

DIE BYBEL

NUWE WÊRELD-VERTALING

Naam:

DIE BYBEL

NUWE WÊRELD-VERTALING

Gebaseer op die *New World Translation of the Holy Scriptures* (2013)

“DAAROM SÊ DIE SOEWEREINE HEER JEHOVAH
[יהוה, *JHWH*]: ‘ . . . KYK, EK SKEP NUWE HEMELE EN ’N NUWE
AARDE, EN DAAR SAL NIE AAN DIE VORIGE DINGE GEDINK WORD
NIE, EN DIT SAL OOK NIE IN DIE HART OPKOM NIE.’ ”

– Jesaja 65:13, 17; sien ook 2 Petrus 3:13.

© 2019

WATCH TOWER BIBLE
AND TRACT SOCIETY
OF PENNSYLVANIA

200 Watchtower Drive
Patterson, NY 12563-9205
U.S.A.

UITGEWERS

WATCHTOWER BIBLE AND
TRACT SOCIETY OF NEW
YORK, INC.

Wallkill, New York, U.S.A.

In sy geheel of gedeeltelik
beskikbaar in meer as 240
tale. Vir 'n volledige lys tale,
sien www.jw.org/af.

Totale aantal kopieë gedruk
van alle uitgawes van die
Nuwe Wêreld-vertaling:

244 746 446

Druk van 2024

Hierdie publikasie word
nie verkoop nie. Dit word
voorsien as deel van
die wêreldwye
Bybelonderrigtingswerk
van Jehovah se Getuies.

Die Bybel

– *Nuwe Wêreld-vertaling*

*New World Translation
of the Holy Scriptures*

Afrikaans (nwt-AF)

Made in Japan

4-7-1 Nakashinden,
Ebina City, Kanagawa-Pref,
243-0496
Japan

Foto-erkenings:

Bladsy 1856:

Bo: Courtesy of Shrine of
the Book, Israel Museum,
Jerusalem

Onder: Courtesy of Ben-Zvi
Institute; fotograaf:
Ardon Bar-Hama

Bladsy 1858:

© The Trustees of the
Chester Beatty Library,
Dublin

Bladsy 1860:

Shrine of the Book,
Photo © The Israel Museum,
Jerusalem

Bladsy 1862:

© The British Library Board
(G.12161)

Bladsy 1866:

Links: From the book
*A Pre-Massoretic Biblical
Papyrus*, by Stanley A. Cook,
M. A. (1903)

Bladsy 1867:

From *The Codex Alexandrinus
in Reduced Photographic
Facsimile*, 1909



nwt-AF
240208

'n Inleiding tot God se Woord

Die Bybel bevat God se boodskap, of woord, vir ons. Dit toon hoe ons 'n gelukkige lewe kan hê en hoe ons God se goedkeuring kan kry. Dit beantwoord ook die volgende vrae:

1. Wie is God?

2. Hoe kan jy van God leer?

3. Wie het die Bybel geskryf?

4. Is die Bybel wetenskaplik akkuraat?

5. Wat is die Bybel se boodskap?

6. Wat het die Bybel oor die Messias voorspel?

7. Wat voorspel die Bybel oor ons dag?

8. Is dit God se skuld dat mense ly?

9. Hoekom ly mense?

10. Wat belowe die Bybel omtrent die toekoms?

11. Wat gebeur wanneer iemand sterf?

12. Watter hoop is daar vir die dooies?

13. Wat sê die Bybel oor werk?

14. Hoe kan jy goed met geld werk?

15. Hoe kan jy geluk vind?

16. Hoe kan jy bekommernisse en stres hanteer?

17. Hoe kan die Bybel jou gesin help?

18. Hoe kan jy nader aan God kom?

19. Waaroor gaan die boeke van die Bybel?

20. Hoe kan jy die meeste uit jou Bybellees kry?

HOE OM BYBELVERSE TE VIND

Die Bybel is 'n versameling van 66 kleiner boeke. Dit is in twee dele verdeel: die Hebreeus-Aramese Geskrifte ("Ou Testament") en die Griekse Geskrifte ("Nuwe Testament"). Elke Bybelboek is in hoofstukke en verse verdeel. Wanneer 'n teks aangegee word, bestaan die verwysing uit 'n boeknaam, gevolg deur 'n nommer wat die hoofstuk aandui sowel as 'n nommer of nommers wat die vers of verse aandui. Byvoorbeeld, Genesis 1:1 verwys na Genesis hoofstuk 1, vers 1.

Vraag 1

Wie is God?

“Mag mense weet dat u, wie se naam Jehovah is, u alleen die Allerhoogste oor die hele aarde is.”

Psalm 83:18 [Bladsy 871]

“Erken dat Jehovah God is. Hy is die Een wat ons gemaak het, en ons behoort aan hom.”

Psalm 100:3 [Bladsy 883]

“Ek is Jehovah. Dit is my naam. Ek gee my heerlikheid aan niemand anders nie, en ook nie my lof aan beelde nie.”

Jesaja 42:8 [Bladsy 1053]

“Elkeen wat die naam van Jehovah aanroep, sal gered word.”

Romeine 10:13 [Bladsy 1618]

“Elke huis word natuurlik deur iemand gebou, maar die een wat alles gebou het, is God.”

Hebreërs 3:4 [Bladsy 1712]

“Kyk op na die hemel. Wie het hierdie dinge geskep?
Dit is die Een wat hulle leërmag uitlei in hulle
volle getal. Hy noem elkeen op sy naam. Weens
die oorfloed van sy dinamiese energie en sy
ontsaaglike krag is hulle almal daar.”

Jesaja 40:26 [Bladsy 1050]



Hoe kan jy van God leer?

“Hierdie Wetboek moet op jou lippe bly, en jy moet dit dag en nag lees en daarvoor nadink, sodat jy alles wat daarin geskryf is, streng kan gehoorsaam, want dan sal jy suksesvol wees, en dan sal jy wys optree.”

Josua 1:8 [Bladsy 344]

“Hulle het bly voorlees uit die boek, uit die Wet van die ware God, en het mooi verduidelik wat dit beteken. Hulle het die volk dus gehelp om te verstaan wat voorgelees word.”

Nehemia 8:8 [Bladsy 720]

“Gelukkig is die man wat nie die raad van die goddeloses volg nie . . . Hy vind vreugde in die wet van Jehovah, en dag en nag lees hy Sy wet en dink hy daarvoor na. . . . Alles wat hy doen, sal suksesvol wees.”

Psalm 1:1-3 [Bladsy 800]

“Filippus het langs die strydwa gehardloop en het gehoor hoe die eunug uit die boek van die profeet Jesaja lees, en hy het gevra: ‘Verstaan u regtig wat u lees?’ Hy het gevra: ‘Hoe kan ek dit ooit verstaan as iemand my nie lei nie?’”

Handelinge 8:30, 31 [Bladsy 1569]

“Sy onsigbare eienskappe, ja, sy ewige krag en Godheid, word van die wêreld se skepping af duidelik gesien omdat dit waargeneem kan word in die dinge wat gemaak is. Daarom het hulle geen verskoning nie.”

Romeine 1:20 [Bladsy 1607]

“Dink na oor hierdie dinge, wees verdiep daarin, sodat almal jou vooruitgang duidelik kan sien.”

1 Timoteus 4:15 [Bladsy 1698]

“Laat ons aandag skenk aan mekaar sodat ons mekaar tot liefde en goeie werke kan aanspoor. Ons moenie ons vergaderingbywoning verwaarloos . . . nie.”

Hebreërs 10:24, 25 [Bladsy 1719]

“As een van julle dan wysheid nodig het, moet hy aanhou om God te vra, want hy gee oorfloedig aan almal sonder om te verwyf, en hy sal wysheid ontvang.”

Jakobus 1:5 [Bladsy 1726]

Vraag 3

Wie het die Bybel geskryf?

“Moses het . . . alles neergeskryf wat Jehovah gesê het.”

Eksodus 24:4 [Bladsy 151]

“Daniël [het] ’n droom gehad en visioene gesien terwyl hy op sy bed gelê het. Toe het hy die droom neergeskryf. Hy het ’n volledige verslag neergeskryf.”

Daniël 7:1 [Bladsy 1290]

“Toe julle God se woord ontvang het, wat julle by ons gehoor het, het julle dit nie as die woord van mense aanvaar nie. Nee, julle het dit aanvaar vir wat dit waarlik is, die woord van God.”

1 Tessalonisense 2:13 [Bladsy 1688]

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om te onderrig.”

2 Timoteus 3:16 [Bladsy 1704]

“Profesieë het nooit deur die wil van ’n mens ontstaan nie, maar mense het God se woorde bekend gemaak terwyl hulle deur heilige gees gelei is.”

2 Petrus 1:21 [Bladsy 1738]

Is die Bybel wetenskaplik akkuraat?

“Hy strek die hemel uit oor die leë ruimte en laat die aarde hang aan niks.”

Job 26:7 [Bladsy 772]

“Al die riviere loop in die see in, en tog word die see nie vol nie. Die riviere keer terug na waar hulle vandaan kom, sodat hulle weer kan vloei.”

Prediker 1:7 [Bladsy 973]

“Daar is Een wat bo die kring van die aarde woon.”

Jesaja 40:22 [Bladsy 1050]



Wat is die Bybel se boodskap?

“Ek sal vyandskap laat ontstaan tussen jou en die vrou en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop vergruis, en jy sal hom in die hakskeen wond.”

Genesis 3:15 [Bladysy 47]

“Deur middel van jou nageslag sal al die nasies van die aarde ’n seën vir hulleself verkry omdat jy na my stem geluister het.”

Genesis 22:18 [Bladysy 69]

“Laat u Koninkryk kom. Laat u wil plaasvind op die aarde, net soos in die hemel.”

Matteus 6:10 [Bladysy 1391]

“Die God wat vrede gee, sal Satan binnekort onder julle voete vergruis.”

Romeine 16:20 [Bladysy 1625]

“Wanneer alles aan hom onderwerp is, sal die Seun hom ook onderwerp aan die Een wat alles aan hom onderwerp het, sodat God alles vir elkeen kan wees.”

1 Korintiërs 15:28 [Bladysy 1644]

“Die beloftes is aan Abraham en aan sy nageslag gemaak . . . , en dit is Christus. Wat meer is, as julle aan Christus behoort, is julle werklik Abraham se nageslag.”

Galasiërs 3:16, 29 [Bladsy 1665]

“Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons Here en van sy Christus geword, en hy sal vir ewig en altyd as koning regeer.”

Openbaring 11:15 [Bladsy 1763]

“Toe is die groot draak neergegooi, die oorspronklike slang, die een wat Duiwel en Satan genoem word, wat die hele aarde mislei. Hy is na die aarde neergegooi, en sy engele is saam met hom neergegooi.”

Openbaring 12:9 [Bladsy 1763]

“Hy het die draak gegryp, die oorspronklike slang, wat die Duiwel en Satan is, en hom vir 1 000 jaar gebind.”

Openbaring 20:2 [Bladsy 1772]

Wat het die Bybel oor die Messias voorspel?

PROFESIE

VERVULLING

“En jy, o Betlehem Efrata, . . . uit jou sal daar vir my die een kom wat heerser in Israel sal wees.”

Miga 5:2 [Bladsy 1342]

“Nadat Jesus in koning Herodes se tyd in Betlehem in Judea gebore is, het sterrevoorspellers uit die Ooste na Jerusalem toe gekom.”

Matteus 2:1 [Bladsy 1385]

“Hulle verdeel my klere onder mekaar, en hulle werp die lot oor my klere.”

Psalm 22:18 [Bladsy 815]

“Toe die soldate Jesus aan die paal gehang het, het hulle sy bo-klere gevat en in vier dele verdeel . . . Hulle het ook die onderkleed gevat, maar dit het nie ’n naat gehad nie, omdat dit van bo tot onder aaneen geweef was. Daarom het hulle vir mekaar gesê: ‘Moet dit nie skeur nie. Kom ons werp die lot om te besluit wie dit sal kry.’”

Johannes 19:23, 24

[Bladsy 1549]

PROFESIE

“Hy bewaar al sy bene,
en nie een van hulle
is gebreek nie.”

Psalm 34:20 [Bladsy 826]

VERVULLING

“Maar toe hulle by Jesus
kom, het hulle gesien
dat hy alreeds dood is,
en daarom het hulle nie
sy bene gebreek nie.”

Johannes 19:33 [Bladsy 1550]

“Hy is vir ons oortreding
deurboor.”

Jesaja 53:5 [Bladsy 1072]

“Een van die soldate het
'n spies in Jesus se sy
gesteek, en onmiddellik
het bloed en water
uitgekom.”

Johannes 19:34 [Bladsy 1550]

“Hulle het my loon betaal:
30 silwerstukke.”

Sagaria 11:12, 13 [Bladsy 1373]

“Toe het een van die
Twaalf, die een wat Ju-
das Iskariot genoem is,
na die hoofpriesters toe
gegaan en gevra: ‘Wat sal
julle vir my gee om hom
aan julle te verraa?’ Hul-
le het vir hom 30 silwer-
stukke aangebied.”

Matteus 26:14, 15; 27:5
[Bladsy 1425, 1428]

Wat voorspel die Bybel oor ons dag?

“Nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk . . . Al hierdie dinge is die begin van ’n baie moeilike tyd.”

Matteus 24:7, 8 [Bladsy 1421]

“Baie valse profete sal verskyn, en hulle sal baie mense mislei. En omdat daar al hoe meer wetteloosheid sal wees, sal die liefde van die meeste mense afkoel.”

Matteus 24:11, 12 [Bladsy 1421]

“Wanneer julle van oorloë en berigte van oorloë hoor, moet julle nie bang wees nie. Hierdie dinge moet gebeur, maar dit is nog nie die einde nie.”

Markus 13:7 [Bladsy 1455]


“Daar sal groot aardbewings wees, en voedseltekorte en vreeslike siektes op die een plek ná die ander. Mense sal skrikwekkende dinge sien, en daar sal groot tekens van die hemel af wees.”

Lukas 21:11 [Bladsy 1507]

“Daar [sal] in die laaste dae swaar tye . . . wees wat moeilik is om deur te kom. Want mense sal selfsugtig wees, geldgierig, trots en hoogmoedig. Hulle sal beledigende dinge sê. Hulle sal ongehoorsaam wees aan hulle ouers. Hulle sal ondankbaar en dislojaal wees. Hulle sal geen natuurlike liefde hê nie en nie bereid wees om tot enigiets in te stem nie. Hulle sal slegte dinge van mense sê en geen selfbeheersing hê nie. Hulle sal wreed wees en sonder liefde vir wat goed is. Hulle sal verraaiers wees, hardkoppig, opgeblase van trots en lief vir plesier eerder as vir God. Dit sal lyk asof hulle God dien, maar hulle sal nie lewe soos mense wat God dien nie.”

2 Timoteus 3:1-5

[Bladsy 1703]



Is dit God se skuld dat mense ly?

“Die ware God sal nooit goddeloos optree nie!
Die Almagtige sal nooit verkeerd doen nie!”

Job 34:10 [Bladsy 782]

“Laat niemand wat deur ’n moeilike tyd gaan, sê:
‘Ek word deur God getoets’ nie. Want God kan nie
met slegte dinge getoets word nie, en hy toets ook
niemand met slegte dinge nie.”

Jakobus 1:13 [Bladsy 1726]

“Gee al julle bekommernisse oor aan God,
want hy gee om vir julle.”

1 Petrus 5:7 [Bladsy 1736]

“Jehovah is nie traag om sy belofte te vervul, soos party
mense dink nie, maar hy is geduldig met julle omdat hy
nie wil hê dat enigiemand vernietig moet word nie,
maar wil hê dat almal berou moet toon.”

2 Petrus 3:9 [Bladsy 1740]

Hoekom ly mense?

“Die vinniges wen nie altyd die wedloop nie en die sterkes wen nie altyd die geveg nie, die wyses het nie altyd die kos nie en die slimmes het nie altyd die rykdom nie, en dié wat kennis het, is nie altyd suksesvol nie, want tyd en onverwagse gebeure tref hulle almal.”

Prediker 9:11 [Bladsy 981]

“Sonde het . . . deur een mens in die wêreld ingekom en die dood deur die sonde, en die dood het so na alle mense versprei omdat hulle almal gesondig het.”

Romeine 5:12 [Bladsy 1612]

“Die Seun van God is geopenbaar met die doel om die werke van die Duiwel te vernietig.”

1 Johannes 3:8 [Bladsy 1744]

“Die hele wêreld is in die mag van die Duiwel.”

1 Johannes 5:19 [Bladsy 1746]

Wat belowe die Bybel omtrent die toekoms?

“Die regverdiges sal die aarde besit, en hulle sal vir ewig daarop lewe.”

Psalm 37:29 [Bladysy 830]

“Die aarde bestaan vir ewig.”

Prediker 1:4 [Bladysy 973]

“Hy sal die dood vir ewig wegneem, en die Soewereine Heer Jehovah sal die trane van alle gesigte afvee.”

Jesaja 25:8 [Bladysy 1028]

“Dan sal die oë van die blindes kan sien, en die ore van die dowses sal kan hoor. Dan sal die kreupele soos ’n takbok spring, en die tong van die stomme sal van vreugde uitroep. Want waters sal in die wildernis vloei, en strome in die woestyn.”

Jesaja 35:5, 6 [Bladysy 1043]

“God sal elke traan van hulle oë afvee, en die dood sal nie meer daar wees nie. Daar sal geen getreur, geen gehuil en geen pyn meer wees nie. Die vorige dinge is verby.”

Openbaring 21:4 [Bladysy 1773]

“Hulle sal huise bou en daarin woon, en hulle sal wingerde plant en die vrugte daarvan eet. Hulle sal nie huise bou sodat ander daarin woon nie, en hulle sal nie plant sodat ander dit eet nie. Want die dae van my volk sal wees soos die dae van ’n boom, en dié wat ek uitgekies het, sal die werk van hulle hande ten volle geniet.”

Jesaja 65:21, 22 [Bladsy 1089]



Wat gebeur wanneer iemand sterf?

“Sy gees gaan uit, hy keer terug na die grond. Op daardie dag kom sy gedagtes tot ’n einde.”

Psalm 146:4 [Bladsy 923]

“Die lewendes weet dat hulle sal sterf, maar die dooies weet absoluut niks nie. . . . Doen alles wat jou hand vind om te doen met al jou mag, want daar is geen werk of beplanning of kennis of wysheid in die Graf, waarheen jy gaan nie.”

Prediker 9:5, 10 [Bladsy 981]

“[Jesus het] bygevoeg: ‘Lasarus, ons vriend, het gaan slaap, maar ek reis soontoe om hom wakker te maak.’ Jesus het egter van sy dood gepraat. Maar hulle het gedink dat hy van gewone slaap praat. Toe het Jesus gerug vir hulle gesê: ‘Lasarus het gesterf.’”

Johannes 11:11, 13, 14 [Bladsy 1536]

Watter hoop is daar vir die dooies?

“Moenie hieroor verbaas wees nie, want die uur kom waarin almal wat in die gedenkgrafte is, sy stem sal hoor en sal uitkom.”

Johannes 5:28, 29 [Bladsy 1525]

“Daar [sal] ’n opstanding van die regverdiges en die onregverdiges . . . wees.”

Handelinge 24:15 [Bladsy 1597]

“Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en boekrolle is oopgemaak. Maar ’n ander boekrol is oopgemaak. Dit is die boekrol van die lewe. Die dooies is geoordeel volgens wat in die boekrolle geskryf is, volgens hulle daade. En die see het die dooies gegee wat daarin was, en die dood en die Graf het die dooies gegee wat in hulle was, en elkeen van die dooies is volgens hulle daade geoordeel.”

Openbaring 20:12, 13 [Bladsy 1772]

Wat sê die Bybel oor werk?

“Het jy ’n man gesien wat sy werk goed kan doen? Hy sal voor konings staan. Hy sal nie voor gewone mense staan nie.”

Spreuke 22:29 [Bladysy 958]

“Laat die een wat steel, nie meer steel nie. Laat hom liever hard werk deur met sy hande goeie werk te doen sodat hy iets kan hê om te deel met iemand wat behoeftig is.”

Efesiërs 4:28 [Bladysy 1673]

“Elkeen moet eet en drink en al sy harde werk . . . geniet. Dit is die gawe van God.”

Prediker 3:13 [Bladysy 976]



Hoe kan jy goed met geld werk?

“Die een wat agter plesier aanloop, sal arm word. Die een wat wyn en olie liefhet, sal nie ryk word nie.”

Spreuke 21:17 [Bladysy 956]

“Die lener is ’n slaaf van die man by wie hy leen.”

Spreuke 22:7 [Bladysy 957]

“Wie van julle wat ’n toring wil bou, gaan bereken nie eers die koste om te sien of hy genoeg het om dit te voltooi nie? Anders lê hy miskien die fondament daarvan, maar hy kan dit nie klaarmaak nie, en almal wat dit sien, sal hom begin spot en sê: ‘Hierdie man het begin bou, maar hy kon nie klaarmaak nie.’”

Lukas 14:28-30 [Bladysy 1496]

“Toe hulle genoeg geëet het, het hy vir sy dissipels gesê: ‘Maak die oorskietstukke bymekaar sodat niks gemors word nie.’”

Johannes 6:12 [Bladysy 1526]

Hoe kan jy geluk vind?

“’n Bak groente waar daar liefde is, is beter as ’n vetgemaakte bul waar daar haat is.”

Spreuke 15:17 [Bladysy 948]

“Ek, Jehovah, is jou God, die Een wat jou leer om jouself te bevoordeel, die Een wat jou lei op die weg wat jy moet volg.”

Jesaja 48:17 [Bladysy 1065]

“Gelukkig is dié wat besef dat hulle God nodig het, want die Koninkryk van die hemel behoort aan hulle.”

Matteus 5:3 [Bladysy 1388]

“Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Matteus 22:39 [Bladysy 1418]

“Net soos julle wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.”

Lukas 6:31 [Bladysy 1477]

“Gelukkig is dié wat die woord van God hoor en dit gehoorsaam!”

Lukas 11:28 [Bladysy 1489]

“Selfs wanneer iemand ’n oorvloed het, hang sy lewe nie van sy besittings af nie.”

Lukas 12:15 [Bladsy 1491]

“As ons dan kos en klere het, sal ons met hierdie dinge tevrede wees.”

1 Timoteus 6:8 [Bladsy 1699]



“Dit maak ’n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang.”

Handelinge 20:35
[Bladsy 1591]

Hoe kan jy bekommernisse en stres hanteer?

“Gee jou las vir Jehovah, en hy sal jou ondersteun. Hy sal die regverdige nooit laat val nie.”

Psalm 55:22 [Bladsy 844]

“Die planne van hardwerkende mense lei tot sukses, maar almal wat oorhaastig is, sal arm word.”

Spreuke 21:5 [Bladsy 956]

“Moenie bang wees nie, want ek is met jou. Moenie angstig wees nie, want ek is jou God. Ek sal jou versterk, ja, ek sal jou help. Ek sal jou stewig vashou met my regterhand van regverdigheid.”

Jesaja 41:10 [Bladsy 1051]

“Wie van julle kan een el by sy lewe voeg deur hom te bekommer?”

Matteus 6:27 [Bladsy 1392]

“Moet . . . nooit bekommerd wees oor die volgende dag nie, want die volgende dag sal sy eie bekommernisse hê. Elke dag het genoeg van sy eie probleme.”

Matteus 6:34 [Bladsy 1392]

“Maak [seker] van die belangriker dinge.”

Filippense 1:10 [Bladsy 1677]

“Moet oor niks bekommerd wees nie, maar vra God in elke situasie om julle te help deur tot hom te bid, hom te sreek en hom te dank. Dan sal die vrede van God, wat alle denke oortref, julle harte en julle verstande beskerm deur middel van Christus Jesus.”

Filippense 4:6, 7 [Bladsy 1680]



Hoe kan die Bybel jou gesin help?

MANS/PA'S

“Net so moet mans hulle vrouens liefhê soos hulle eie liggame. 'n Man wat sy vrou liefhet, het homself lief, want geen man het al ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed dit en versorg dit . . . Elkeen van julle moet sy vrou liefhê soos homself.”

Efesiërs 5:28, 29, 33 [Bladsy 1675]

“Pa's, moenie julle kinders irriteer nie, maar hou aan om hulle in die dissipline en riglyne van Jehovah op te voed.”

Efesiërs 6:4 [Bladsy 1675]

VROUENS

“Die vrou moet diep respek vir haar man hê.”

Efesiërs 5:33 [Bladsy 1675]

“Vrouens, wees onderdanig aan julle mans, want dit is reg in die oë van die Here.”

Kolossense 3:18 [Bladsy 1685]

KINDERS

“Kinders, wees gehoorsaam aan julle ouers in eenheid met die Here, want dit is regverdig. ‘Eer jou pa en jou ma’ is die eerste gebod met ’n belofte: ‘Sodat dit met jou goed kan gaan en jy lank op die aarde kan bly.’”

Efesiërs 6:1-3 [Bladsy 1675]

“Kinders, wees in alles gehoorsaam aan julle ouers, want dit maak die Here se hart bly.”

Kolossense 3:20 [Bladsy 1685]

Hoe kan jy nader aan God kom?

“O Hoorder van gebed, alle soorte mense sal na u toe kom.”

Psalm 65:2 [Bladysy 850]

“Vertrou op Jehovah met jou hele hart, en moenie op jou eie begrip staatmaak nie. Neem hom in ag in alles wat jy doen, en hy sal jou paaie gelykmaak.”

Spreuke 3:5, 6 [Bladysy 931]

“Om die ewige lewe te ontvang, moet hulle u leer ken, die enigste ware God, en ook die een wat u gestuur het, Jesus Christus.”

Johannes 17:3 [Bladysy 1545]

“[God] is eintlik nie ver van elkeen van ons af nie.”

Handelinge 17:27 [Bladysy 1585]

“Ek bly bid dat julle liefde al hoe meer sal toeneem met akkurate kennis en goeie oordeel.”

Filippense 1:9 [Bladysy 1677]

“As een van julle dan wysheid nodig het, moet hy aanhou om God te vra, want hy gee oorvloedig aan almal sonder om te verwyte, en hy sal wysheid ontvang.”

Jakobus 1:5 [Bladsy 1726]

“Kom nader aan God, en hy sal nader aan julle kom. Reinig julle hande, julle sondaars, en suiwer julle harte, julle besluiteloses.”

Jakobus 4:8 [Bladsy 1729]

“Die liefde vir God beteken dat ons sy gebooië gehoorsaam. En tog is sy gebooië nie swaar nie.”

1 Johannes 5:3 [Bladsy 1746]

Waaroor gaan die boeke van die Bybel?

HEBREEUSE GESKRIFTE (“OU TESTAMENT”)

PENTATEUG (5 BOEKE):

Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium

Vanaf die skepping tot die vorming van die eertydse nasie Israel

HISTORIESE BOEKE (12 BOEKE):

Josua, Rigters, Rut

Israel se intog in die Beloofde Land en gebeure daarna

1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke

Geskiedenis van die nasie Israel tot die vernietiging van Jerusalem

Esra, Nehemia, Ester

Geskiedenis van die Jode ná hulle terugkeer uit ballingskap in Babilon

POËTIESE BOEKE (5 BOEKE):

Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied van Salomo

Versamelings wyse spreuke en liedere

PROFETIESE BOEKE (17 BOEKE):

Jesaja, Jeremia, Klaagliedere, Esegïël, Daniël, Hosea,

Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk,

Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

Profesieë, of voorspellings, oor God se volk

CHRISTELIKE GRIEKSE GESKRIFTE (“NUWE TESTAMENT”)

DIE EVANGELIES (4 BOEKE):

Matteus, Markus, Lukas, Johannes

Geskiedenis van Jesus se lewe en bediening

DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS (1 BOEK):

Geskiedenis van die begin van die Christengemeente
en sendingwerk

BRIEWE (21 BOEKE):

**Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs,
Filippense, Kolossense, 1 en 2 Tessalonisense**
Briewe aan verskeie Christengemeentes

1 en 2 Timoteus, Titus, Filemon
Briewe aan individuele Christene

**Hebreërs, Jakobus, 1 en 2 Petrus,
1, 2 en 3 Johannes, Judas**
Algemene briewe aan Christene

OPENBARING (1 BOEK):

’n Reeks profetiese visioene wat aan die apostel Johannes
gegee is

Hoe kan jy die meeste uit jou Bybellees kry?

BEANTWOORD HIERDIE VRAE TERWYL JY JOU BYBEL LEES:

Wat leer dit my van Jehovah God?

Hoe dra hierdie deel van die Skrif by tot die Bybel se boodskap?

Hoe kan ek dit in my lewe toepas?

Hoe kan ek hierdie verse gebruik om ander te help?

“U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad.”

Psalm 119:105

[Bladsy 907]



VOORWOORD

Die Heilige Bybel is God se geskrewe boodskap aan ons almal. Ons moet dit bestudeer as ons die Outeur daarvan wil leer ken (Johannes 17:3; 2 Timoteus 3:16). In hierdie boek openbaar Jehovah God sy voorneme vir mense en vir hulle aardse tuiste. – Genesis 3:15; Openbaring 21:3, 4.

Geen ander boek het so 'n groot uitwerking op mense se lewens nie. Die Bybel leer ons om Jehovah se eienskappe te weerspieël, soos liefde, genade en medelye. Dit gee mense hoop en help hulle selfs wanneer hulle verskriklik ly. En dit wys vir ons watter elemente van hierdie wêreld nie in ooreenstemming is met die volmaakte wil van God nie. – Psalm 119:105; Hebreërs 4:12; 1 Johannes 2:15-17.

Die Bybel, wat oorspronklik in Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf is, is in sy geheel of gedeeltelik in meer as 3 000 tale vertaal. Dit is verreweg die mees vertaalde en verspreide boek in die geskiedenis. Dit behoort ons glad nie te verbaas nie. 'n Bybelprofesie sê: “Hierdie goeie nuus van die Koninkryk [die hooftema van die Bybel] sal oor die hele bewoonde aarde verkondig word as 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom.” – Matteus 24:14.

Ons, die huidige lede van die New World Bible Translation Committee, besef hoe belangrik die Bybel se boodskap is, en daarom was dit ons doelwit om 'n vertaling voort te bring wat nie net getrou is aan die oorspronklike teks nie, maar wat ook duidelik is en maklik lees. Die artikels “Beginsels van Bybelvertaling”, “Kenmerke van hierdie vertaling” en “Hoe die Bybel tot in ons tyd bewaar is”, wat in die Aanhangsel gevind kan word, bespreek van die vertaalbeginsels wat gevolg is, sowel as party van die kenmerke van hierdie uitgawe.

Mense wat lief is vir Jehovah God en hom aanbid, wil graag 'n akkurate, verstaanbare vertaling van God se Woord hê (1 Timoteus 2:4). Dit is ons doel dat die *New World Translation* in soveel tale as moontlik vertaal word, en daarom is hierdie hersiening in Afrikaans beskikbaar gestel. Liewe lesers, ons hoop en bid dat hierdie vertaling van die Heilige Skrif jou sal help om 'God te soek en hom werklik te vind'. – Handeling 17:27.

New World Bible Translation Committee
Augustus 2013

NAME EN VOLGORDE VAN DIE BOEKE

HEBREEUS-ARAMESE GESKRIFTE

BOEK	AFKORTING	BLADSY	BOEK	AFKORTING	BLADSY
Genesis	Ge	41	Prediker	Pr	972
Eksodus	Eks	115	Hooglied van Salomo	Hgl	984
Levitikus	Le	178	Jesaja	Jes	993
Numeri	Nu	224	Jeremia	Jer	1091
Deuteronomium	De	287	Klaagliedere	Klg	1189
Josua	Jos	343	Esegiël	Ese	1199
Rigters	Rig	379	Daniël	Da	1277
Rut	Rut	415	Hosea	Ho	1300
1 Samuel	1Sa	421	Joël	Jl	1315
2 Samuel	2Sa	468	Amos	Am	1321
1 Konings	1Kn	508	Obadja	Ob	1332
2 Konings	2Kn	555	Jona	Jon	1334
1 Kronieke	1Kr	601	Miga	Mi	1337
2 Kronieke	2Kr	643	Nahum	Na	1346
Esra	Esr	694	Habakuk	Hab	1350
Nehemia	Ne	709	Sefanja	Sef	1355
Ester	Est	731	Haggai	Hag	1360
Job	Job	742	Sagaria	Sag	1363
Psalms	Ps	793	Maleagi	Mal	1377
Spreuke	Spr	926			

CHRISTELIKE GRIEKSE GESKRIFTE

BOEK	AFKORTING	BLADSY	BOEK	AFKORTING	BLADSY
Matteus	Mt	1382	1 Timoteus	1Ti	1694
Markus	Mr	1431	2 Timoteus	2Ti	1700
Lukas	Lu	1462	Titus	Tit	1705
Johannes	Joh	1515	Filemon	Flm	1708
Handelinge	Han	1553	Hebreërs	Heb	1709
Romeine	Ro	1605	Jakobus	Jak	1725
1 Korintiërs	1Kor	1626	1 Petrus	1Pe	1731
2 Korintiërs	2Kor	1647	2 Petrus	2Pe	1737
Galasiërs	Ga	1661	1 Johannes	1Jo	1741
Efesiërs	Ef	1669	2 Johannes	2Jo	1747
Filippense	Flp	1676	3 Johannes	3Jo	1748
Kolossense	Kol	1681	Judas	Jud	1749
1 Tessalonisense	1Te	1687	Openbaring	Op	1751
2 Tessalonisense	2Te	1691			

Tabel van Bybelboeke	1776	Aanhangsel A	1845
Indeks van Bybelwoorde	1778	Aanhangsel B	1893
Woordelys	1808		

GENESIS

OORSIG

- 1 Hemel en aarde geskep (1, 2)
Ses dae waarin aarde voorberei is (3-31)
Dag 1: lig; dag en nag (3-5)
Dag 2: lugruimte (6-8)
Dag 3: droë grond en plantegroei (9-13)
Dag 4: ligte in die hemel (14-19)
Dag 5: visse en voëls (20-23)
Dag 6: landdiere en mense (24-31)
- 2 God rus op sewende dag (1-3)
Jehovah God, Maker van hemel en aarde (4)
Man en vrou in tuin van Eden (5-25)
Mens uit stof gemaak (7)
Verbode boom van kennis (15-17)
Vrou geskep (18-25)
- 3 Eerste sonde van mens (1-13)
Eerste leuen (4, 5)
Jehovah se oordeel teen opstandiges (14-24)
Vrou se nageslag voorspel (15)
Uitgedryf uit Eden (23, 24)
- 4 Kain en Abel (1-16)
Kain se nakomelinge (17-24)
Set en sy seun Enos (25, 26)
- 5 Van Adam tot Noag (1-32)
Adam het seuns en dogters gehad (4)
Henog het met God gewandel (21-24)
- 6 Seuns van God neem vrouens op aarde (1-3)
Nefilim gebore (4)
Slegtheid van mens maak Jehovah hartseer (5-8)
Noag kry opdrag om ark te bou (9-16)
God sê dat Vloed gaan kom (17-22)
- 7 Hulle gaan in ark in (1-10)
Wêreldwye Vloed (11-24)
- 8 Vloedwaters sak (1-14)
Duif uitgestuur (8-12)
Hulle verlaat ark (15-19)
God se belofte in verband met aarde (20-22)
- 9 Instruksies vir hele mensdom (1-7)
Wet oor bloed (4-6)
Reënboogverbond (8-17)
Profesieë oor Noag se nakomelinge (18-29)
- 10 Lys van nasies (1-32)
Nakomelinge van Jafet (2-5)
Nakomelinge van Gam (6-20)
Nimrod staan Jehovah teë (8-12)
Nakomelinge van Sem (21-31)
- 11 Toring van Babel (1-4)
Jehovah verwar taal (5-9)
Van Sem tot Abram (10-32)
Tera se familie (27)
Abram verlaat Ur (31)
- 12 Abram verlaat Haran en gaan na Kanaän (1-9)
God se belofte aan Abram (7)
Abram en Sarai in Egipte (10-20)
- 13 Abram keer terug na Kanaän (1-4)
Abram en Lot gaan uitmekaar (5-13)
God herhaal sy belofte aan Abram (14-18)
- 14 Abram red Lot (1-16)
Melgisedek seën Abram (17-24)
- 15 God se verbond met Abram (1-21)
Die 400 jaar van ellende voorspel (13)
God herhaal sy belofte aan Abram (18-21)
- 16 Hagar en Ismael (1-16)
- 17 Abraham sal vader van baie nasies word (1-8)
Abram se naam verander na Abraham (5)
Verbond van die besnydenis (9-14)
Sarai se naam verander na Sara (15-17)
Seun belowe, Isak (18-27)
- 18 Drie engele besoek Abraham (1-8)
Sara word seun belowe; sy lag (9-15)
Abraham pleit vir Sodom (16-33)
- 19 Lot deur engele besoek (1-11)
Lot en sy gesin aangespoor om te vlug (12-22)

- Sodom en Gomorra vernietig (23-29)
 Lot se vrou word soutpilaar (26)
 Lot en sy dogters (30-38)
 Oorsprong van Moab en Ammon (37, 38)
- 20 Sara van Abimeleg gered (1-18)
- 21 Geboorte van Isak (1-7)
 Isak deur Ismael gespot (8, 9)
 Hagar en Ismael weggestuur (10-21)
 Abraham se verbond met Abimeleg (22-34)
- 22 Abraham gevra om Isak te offer (1-19)
 Seën as gevolg van Abraham se nageslag (15-18)
 Rebekka se familie (20-24)
- 23 Sara se dood en waar sy begrawe is (1-20)
- 24 Vrou vir Isak gesoek (1-58)
 Rebekka ontmoet Isak (59-67)
- 25 Abraham trou weer (1-6)
 Abraham sterf (7-11)
 Ismael se seuns (12-18)
 Geboorte van Jakob en Esau (19-26)
 Esau verkoop sy geboortereg (27-34)
- 26 Isak en Rebekka in Gerar (1-11)
 God se belofte teenoor Isak bevestig (3-5)
 Konflik oor putte (12-25)
 Isak se verbond met Abimeleg (26-33)
 Esau se twee Hetitiese vroue (34, 35)
- 27 Jakob kry Isak se seën (1-29)
 Esau wil geseën word, maar is onberouvol (30-40)
 Esau is vyandig teenoor Jakob (41-46)
- 28 Isak stuur Jakob na Paddan-Aram (1-9)
 Jakob se droom by Bet-El (10-22)
 God se belofte teenoor Jakob bevestig (13-15)
- 29 Jakob ontmoet Ragel (1-14)
 Jakob raak verlief op Ragel (15-20)
 Jakob trou met Lea en Ragel (21-29)
 Jakob se vier seuns by Lea: Ruben, Simeon, Levi en Juda (30-35)
- 30 Bilha gee geboorte aan Dan en Naftali (1-8)
 Silpa gee geboorte aan Gad en Aser (9-13)
- Lea gee geboorte aan Issaskar en Sebulon (14-21)
 Ragel gee geboorte aan Josef (22-24)
 Jakob se vee vermeerder (25-43)
- 31 Jakob vertrek in geheim na Kanaän (1-18)
 Laban haal Jakob in (19-35)
 Jakob se verbond met Laban (36-55)
- 32 Engele ontmoet Jakob (1, 2)
 Jakob berei voor om Esau te ontmoet (3-23)
 Jakob stoei met engel (24-32)
 Jakob se naam verander na Israel (28)
- 33 Jakob ontmoet Esau (1-16)
 Jakob reis na Sigem (17-20)
- 34 Dina verkrag (1-12)
 Jakob se seuns tree bedrieglik op (13-31)
- 35 Jakob raak ontslae van vreemde gode (1-4)
 Jakob keer terug na Bet-El (5-15)
 Benjamin se geboorte; Ragel se dood (16-20)
 Israel se 12 seuns (21-26)
 Isak sterf (27-29)
- 36 Esau se nakomelinge (1-30)
 Edom se konings en sjeiks (31-43)
- 37 Josef se drome (1-11)
 Josef en sy jaloerse broers (12-24)
 Josef as slaaf verkoop (25-36)
- 38 Juda en Tamar (1-30)
- 39 Josef in Potifar se huis (1-6)
 Josef weerstaan Potifar se vrou (7-20)
 Josef in tronk (21-23)
- 40 Josef sê wat gevangenes se drome beteken (1-19)
 'Net God kan sê wat sulke dinge beteken' (8)
 Farao se verjaarsdagfees (20-23)
- 41 Josef sê wat Farao se drome beteken (1-36)
 Farao gee Josef hoë posisie (37-46a)
 Josef in beheer van kosvoorrade (46b-57)
- 42 Josef se broers gaan na Egipte (1-4)

- | | |
|---|---|
| <p>Josef ontmoet sy broers en toets hulle (5-25)</p> <p>Die broers keer terug na Jakob (26-38)</p> <p>43 Josef se broers reis na Egipte met Benjamin (1-14)</p> <p>Josef sien sy broers weer (15-23)</p> <p>Josef se maaltyd saam met sy broers (24-34)</p> <p>44 Josef se silwerbeker in Benjamin se sak (1-17)</p> <p>Juda pleit vir Benjamin (18-34)</p> <p>45 Josef sê wie hy is (1-15)</p> <p>Josef se broers gaan haal vir Jakob (16-28)</p> <p>46 Jakob en sy huishouding trek na Egipte (1-7)</p> <p>Name van diegene wat na Egipte trek (8-27)</p> | <p>Josef ontmoet Jakob in Gosen (28-34)</p> <p>47 Jakob ontmoet Farao (1-12)</p> <p>Josef, 'n wyse bestuurder (13-26)</p> <p>Israel woon in Gosen (27-31)</p> <p>48 Jakob seën Josef se twee seuns (1-12)</p> <p>Efraim ontvang groter seën (13-22)</p> <p>49 Jakob se sterfbedprofesie (1-28)</p> <p>Silo sal uit Juda kom (10)</p> <p>Jakob se instruksies oor sy begrafnis (29-32)</p> <p>Jakob sterf (33)</p> <p>50 Josef begrawe Jakob in Kanaän (1-14)</p> <p>Josef verseker sy broers van sy vergifnis (15-21)</p> <p>Josef se laaste dae en sy dood (22-26)</p> <p>Josef se bevel oor sy liggaam (25)</p> |
|---|---|

1 In die begin het God die hemel en die aarde geskep.^a

2 Die aarde was onbewoonbaar* en leeg, en daar was duisternis op die oppervlak van die waterdiepte,^{#b} en God se werkende krag^{Δc} het oor die oppervlak van die waters^d beweeg.

3 En God het gesê: "Laat daar lig wees." Toe was daar lig.^e **4** Daarna het God gesien dat die lig goed is, en God het die lig van die duisternis begin skei. **5** God het die lig "dag" genoem, maar hy het die duisternis "nag" genoem.^f En dit het aand geword en dit het oggend geword: 'n eerste dag.

6 Toe het God gesê: "Laat daar 'n uitgestrekte lugruimte"^g tussen die waters wees, en laat daar 'n skeiding tussen die waters en die waters wees."^h **7** Toe het God die lugruimte*

1:2 *Of "vormloos". #Of "die onstuiwige waters". ΔOf "God se gees". 1:6, 7 *Of "uitspansel".

HFST. 1

a Ps 102:25
Jes 42:5
Jes 45:18
Ro 1:20
Heb 1:10
Op 4:11
Op 10:6

b Spr 8:27, 28

c Ps 33:6
Jes 40:26

d Ps 104:5, 6

e Jes 45:7
2Kor 4:6

f Ge 8:22

g Ge 1:20

h 2Pe 3:5

Tweede kol.

a Ge 7:11
Spr 8:27, 28

b Job 38:8, 11
Ps 104:6-9
Ps 136:6

c Ps 95:5

d Spr 8:29

e De 32:4

f Ps 104:14

gemaak en die waters onder die lugruimte geskei van die waters bo die lugruimte.^a En dit was so. **8** God het die lugruimte "hemel" genoem. En dit het aand geword en dit het oggend geword: 'n tweede dag.

9 Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek versamel word, en laat die droë grond verskyn."^b En dit was so. **10** God het die droë grond "aarde"^c genoem, maar hy het die versameling van die waters "see"^d genoem. En God het gesien dat dit goed is.^e **11** Toe het God gesê: "Laat die aarde gras voortbring, sowel as plante wat saad dra en vrugtebome wat vrugte dra met saad daarin, volgens hulle soorte." En dit was so. **12** En die aarde het gras begin voortbring, sowel as plante wat saad dra^f en bome wat vrugte dra met saad daarin, volgens hulle soorte. Toe het God gesien dat dit goed is. **13** En dit het aand geword en

dit het oggend geword: 'n derde dag.

14 Toe het God gesê: "Laat daar ligte^a in die hemel* wees om 'n skeiding tussen die dag en die nag te maak,^b en hulle sal as tekens dien vir seisoene en vir dae en vir jare.^c **15** Hulle sal as ligte in die hemel* dien om op die aarde te skyn." En dit was so. **16** En God het die twee groot ligte gemaak, die groter lig om oor die dag te heers^d en die kleiner lig om oor die nag te heers, en ook die sterre.^e **17** God het hulle in die hemel* geplaas om op die aarde te skyn **18** en om in die dag en in die nag te heers en om 'n skeiding te maak tussen die lig en die duisternis.^f Toe het God gesien dat dit goed is. **19** En dit het aand geword en dit het oggend geword: 'n vierde dag.

20 Toe het God gesê: "Laat die waters wemel van lewende diere,^g en laat vlieënde diere bo die aarde in die hemel* vlieg."^g **21** En God het die groot seediere geskep, en al die lewende diere^h wat in die waters beweeg en lewe, volgens hulle soorte, sowel as al die vlieënde diere, volgens hulle soorte. En God het gesien dat dit goed is. **22** Toe het God hulle geseën en gesê: "Wees vrugbaar en word baie en vul die waters van die see,^h en laat die vlieënde diere baie word op die aarde." **23** En dit het aand geword en dit het oggend geword: 'n vyfde dag.

24 Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende diere^g volgens hulle soorte voortbring: mak diere, kruipende diere* en

1:14, 15, 17, 20 *Of "uitspansel van die hemel". 1:20, 21, 24 ^gOf "siele". 1:24 *Of "diere wat rondbeweeg". Dit sluit blykbaar reptiele en vorme van dierelewe in wat nie onder die ander kategorieë val nie.

HFST. 1
a De 4:19
b Ps 104:19
c Ge 8:22
d Ps 136:7, 8
e Ps 8:3
Jer 31:25
f Ps 74:16
g Ge 2:19
h Ne 9:6
Ps 104:25

Tweede kol.

a Ge 2:19
b Spr 8:30
Joh 1:3
Kol 1:16
c 1Kor 11:7
d Ge 5:1
Jak 3:9
e Ge 9:2
f Ps 139:14
Mt 19:4
Mr 10:6
1Kor 11:7, 9
g Ge 9:1
h Ge 2:15
i Ps 8:4, 6
j Ge 9:3
Ps 104:14
Han 14:17
k Ps 147:9
Mt 6:26

l De 32:4
Ps 104:24
1Ti 4:4

wilde diere van die aarde, volgens hulle soorte."^a En dit was so. **25** En God het die wilde diere van die aarde volgens hulle soorte gemaak, sowel as die mak diere volgens hulle soorte en al die kruipende diere van die aarde volgens hulle soorte. En God het gesien dat dit goed is.

26 Toe het God gesê: "Laat ons^b mense maak na ons beeld,^c wat soos ons sal wees.*^d En laat hulle gesag hê oor die visse van die see en die vlieënde diere van die hemel en die mak diere en die hele aarde en al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg."^e **27** En God het die mens na sy beeld geskep, na God se beeld het hy hom geskep. Man en vrou het hy hulle geskep.^f **28** Verder het God hulle geseën, en God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en word baie, vul die aarde^g en bewerk dit.^h Heersⁱ oor die visse van die see en die vlieënde diere van die hemel en al die lewende diere wat op die aarde rondbeweeg."

29 Toe het God gesê: "Kyk, ek het vir julle al die plante op die hele aarde gegee wat saad dra en al die bome wat vrugte dra met saad daarin. Laat dit julle voedsel wees.^j **30** En aan al die wilde diere van die aarde en aan al die vlieënde diere van die hemel en aan alles wat op die aarde rondbeweeg en waarin daar lewe* is, het ek al die groen plante as voedsel gegee."^k En dit was so.

31 Daarna het God alles gesien wat hy gemaak het, en dit was baie goed.^l En dit het aand geword en dit het oggend geword: 'n sesde dag.

1:26 *Of "na ons gelykenis". 1:30 *Of "lewe as 'n siel; 'n lewende siel".

2 So is die hemel en die aarde en alles daarin* voltooi.^a **2** En teen die sewende dag het God sy werk voltooi, en hy het op die sewende dag begin rus van al die werk wat hy gedoen het.^b **3** En God het die sewende dag geseën en dit heilig verklaar, want op hierdie dag het God gerus van al sy skeppingswerk, alles wat hy besluit het om te maak.

4 Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde in die tyd toe hulle geskep is, in die dag toe Jehovah* God die aarde en die hemel gemaak het.^c

5 Daar was nog geen plante in die veld nie. Geen plante het nog op die aarde uitgespruit nie, want Jehovah God het dit nie op die aarde laat reën nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. **6** Maar 'n mis het van die aarde af opgegaan, en dit het die hele oppervlak van die aarde natgemaak.

7 En Jehovah God het die mens uit die stof^d van die aarde gemaak en die asem van die lewe^e in sy neusgate geblaas, en die mens het 'n lewend persoon* geword.^f **8** Verder het Jehovah God 'n tuin in Eden^g geplant, in die ooste, en daar het hy die mens geplaas wat hy gemaak het.^h **9** So het Jehovah God allerhande bome uit die grond laat groei wat mooi is om na te kyk en wat goed is vir voedsel, en ook die boom van die leweⁱ in die middel van die tuin, sowel as die boom van die kennis van wat goed en wat sleg is.^j

2:1 * Lett. "en hulle hele leërmag". **2:4** * Die eerste keer dat God se unieke persoonlike naam, יהוה (JHWH), voorkom. Sien Aanh. A4. **2:7** * Of "siel". Hebreeus: *ne'fesj*. Beteken letterlik "n wese wat asemhaal". Sien Woordelys.

HFST. 2

a Ne 9:6
Ps 146:6b Eks 31:17
Heb 4:4

c Jes 45:18

d Ge 3:19
Ps 103:14
Pr 3:20e Ge 7:22
Jes 42:5
Han 17:25

f 1Kor 15:45, 47

g Ge 2:15
Ge 3:23

h Ge 1:26

i Ge 3:22, 24
Op 2:7

j Ge 2:17

Tweede kol.

a Da 10:4

b Ge 10:8, 11

c Ge 15:18
De 11:24d Ge 1:28
Ge 2:8
Ps 115:16e Ge 2:8, 9
Ge 3:2f Ge 3:19
Ps 146:4
Pr 9:5, 10
Ese 18:4
Ro 5:12
1Kor 15:22g 1Kor 11:8, 9
1Ti 2:13

h Ge 1:26

10 En daar was 'n rivier wat uit Eden gevloei het om die tuin van water te voorsien, en van daar af het dit in vier riviere verdeel. **11** Die naam van die eerste rivier is Pison. Dit is die rivier wat om die hele land Ha-wila loop, waar daar goud is. **12** Die goud van daardie land is goed, en daar is ook balsemgom en oniks. **13** Die naam van die tweede rivier is Gihon. Dit is die rivier wat om die hele land Kus loop. **14** Die naam van die derde rivier is Hidde'kel.*^a Dit is die rivier wat oos van Assirië^b loop. En die vierde rivier is die Eufraatrivier.^c

15 Jehovah God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden laat woon om dit te bewerk en daarvoor te sorg.^d **16** Jehovah God het ook aan die mens hierdie bevel gegee: "Jy mag van al die bome van die tuin eet totdat jy versadig is.^e **17** Maar jy mag nie eet van die boom van die kennis van wat goed en wat sleg is nie, want die dag as jy daarvan eet, sal jy beslis sterf."^f

18 Toe het Jehovah God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek gaan vir hom 'n helper maak, 'n maat wat by hom pas."^g **19** En Jehovah God het al die wilde diere van die veld en al die vlieënde diere van die hemel uit die grond gevorm, en hy het hulle na die mens toe begin bring om te sien wat hy elkeen sou noem. En wat die mens elke lewend dier* ook al genoem het, dit het sy naam geword.^h **20** So het die mens dan name gegee aan al die mak diere, die vlieënde diere van die hemel en al die wilde diere van die veld, maar vir die mens was daar geen helper,

2:14 * Of "Tigris". **2:18** * Of "n komplement van hom". **2:19** * Of "siel".

geen maat wat by hom pas* nie. **21** Daarom het Jehovah God die mens baie diep laat slaap, en terwyl hy geslaap het, het hy een van sy ribbene geneem en toe die vlees oor die plek daarvan toegemaak. **22** En Jehovah God het van die ribbeen wat hy uit die man geneem het, 'n vrou gemaak en haar na die man toe gebring.^a

23 Toe het die man gesê:

“Dit is uiteindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal ‘vrou’* genoem word, want sy is uit die man geneem.”^b

24 Daarom sal 'n man sy pa en sy ma verlaat, en hy sal sy vrou aankleef,* en hulle sal een vlees word.^c **25** En hulle was albei kaal,^d die man en sy vrou, en tog was hulle nie skaam nie.

3 En die slang^e was die versigtigste* van al die wilde diere van die veld wat Jehovah God gemaak het. Toe het die slang vir die vrou gesê: “Het God werklik gesê dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie?”^f **2** Hierop het die vrou vir die slang gesê: “Ons mag van die vrugte van die bome van die tuin eet.^g **3** Maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is,^h het God gesê: ‘Julle mag nie daarvan eet nie, nee, julle mag nie daaraan raak nie, anders sal julle sterf.’” **4** Hierop het die slang vir die vrou gesê: “Julle sal beslis nie sterf nie.ⁱ **5** Want God weet dat die dag as julle daarvan eet, julle oë geopen sal word en julle soos God sal wees

2:20 *Of “geen helper as 'n komplement van hom”. 2:23 *Lett. “mannin”. 2:24 *Of “hy sal by sy vrou bly”. 3:1 *Of “slinksste; sees uitgeslape”.

HFST. 2

a Mr 10:9
1Ti 2:13

b 1Kor 11:8

c Mal 2:16
Mt 19:5
Mr 10:7,8
Ro 7:2
1Kor 6:16
Ef 5:31
Heb 13:4

d Ge 3:7

HFST. 3

e 2Kor 11:3
Op 12:9
Op 20:2

f Ge 2:17

g Ge 2:16

h Ge 2:8,9

i Joh 8:44
1Jo 3:8

Tweede kol.

a Ge 3:22

b 2Kor 11:3
1Ti 2:14
Jak 1:14,15

c Ro 5:12

d Ge 3:21

e Ge 2:25

f Ge 2:17

g 2Kor 11:3
1Ti 2:14

h Ge 3:1

omdat julle kennis sal hê van wat goed en wat sleg is.”^a

6 Toe het die vrou gesien dat die boom goed is vir voedsel en dat dit 'n lus vir die oë is, ja, die boom was mooi om na te kyk. En sy het van die vrugte begin neem en dit geëet.^b Daarna het sy ook vir haar man van die vrugte gegee toe hy by haar was, en hy het dit begin eet.^c

7 Toe is hulle oë geopen, en hulle het besef dat hulle kaal is. Daarom het hulle vyeblare aanmekaargewerk en dit om hulle heupe gesit om hulle te bedek.^d

8 Later het hulle die stem van Jehovah God gehoor terwyl hy, omtrent die tyd van die dag wanneer daar 'n briesie waai, in die tuin geloop het. En die man en sy vrou het tussen die bome van die tuin vir Jehovah God gaan wegkruip. **9** Maar Jehovah God het na die mens bly roep en vir hom gesê: “Waar is jy?” **10** Uiteindelik het hy gesê: “Ek het u stem in die tuin gehoor, maar ek was bang omdat ek kaal is, en daarom het ek weggekruip.” **11** Toe het hy gevra: “Wie het vir jou gesê dat jy kaal is?”^e Het jy geëet van die boom waarvan ek jou beveel het om nie te eet nie?”^f **12** Die man het gesê: “Die vrou wat u vir my gegee het om by my te wees, sy het vir my van die vrugte van die boom gegee, en daarom het ek geëet.” **13** Jehovah God het toe vir die vrou gevra: “Wat het jy gedoen?” Die vrou het geantwoord: “Die slang het my bedrieg, en daarom het ek geëet.”^g

14 Jehovah God het toe vir die slang^h gesê: “Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die mak diere en onder al die wilde diere van die veld. Jy sal op jou maag seil, en jy sal stof eet al die dae van jou

lewe. **15** En ek sal vyandskap^a laat ontstaan tussen jou^b en die vrou^c en tussen jou nageslag^{ad} en haar nageslag.^{*e} Hy sal jou kop vergruis,^{##} en jy sal hom in die hakskeen wond.^g

16 Hy het vir die vrou gesê: "Ek sal die pyn van jou swangerskap grootliks vermeerder. Met pyn sal jy aan kinders geboorte gee, en jy sal 'n sterk begeerte na jou man hê, en hy sal jou oorheers."

17 En hy het vir Adam* gesê: "Omdat jy na jou vrou se stem geluister het en van die boom geëet het waarvan ek jou beveel het om nie te eet nie,^h is die grond vervloek as gevolg van jou.ⁱ Al die dae van jou lewe sal jy met pyn die opbrengs daarvan eet.^j **18** Dit sal dorings en dissels vir jou voortbring, en jy sal die plante van die veld eet. **19** Met sweet en harde werk sal jy brood* eet totdat jy na die grond terugkeer, want daaruit is jy geneem.^k Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer."^l

20 Hierna het Adam sy vrou Eva* genoem, omdat sy die moeder sou word van almal wat lewe.^m **21** En Jehovah God het vir Adam en sy vrou lang kledingstukke van dierevelle gemaak wat hulle kon aantrek.ⁿ **22** Jehovah God het toe gesê: "Kyk, die mens het soos een van ons geword omdat hy weet wat goed en wat sleg is.^o En nou, sodat hy nie sy hand uitsteek en ook vrugte van die boom van die lewe^p neem en eet en vir ewig lewe nie..." **23** Daarna het Jehovah God hom uit die tuin van Eden^q uitgedryf om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.^r **24** So het

3:15 *Lett. "saad". ^oOf "vermorsel".
3:17 *Beteken "aardse mens; mensdom".
3:19 ^oOf "kos".
3:20 *Beteken "lewende persoon".

HFST. 3

a Op 12:7,17

b Op 12:9

c Op 12:1

d Joh 8:44

1Jo 3:10

e Ge 22:18

Ge 49:10

Ga 3:16, 29

f Op 20:2, 10

g Mt 27:50

Han 3:15

h Ge 2:17

i Ge 5:29

j Ro 8:20

k Ge 2:7

l Ps 104:29

Pr 3:20

Pr 12:7

m Han 17:26

n Ge 3:7

o Ge 3:5

p Ge 2:9

q Ge 2:8

r Ge 3:19

Tweede kol.

a Ps 80:1

Jes 37:16

Ese 10:4

HFST. 4

b Ge 1:28

c 1Jo 3:10-12

Jud 11

d Mt 23:35

e Eks 13:12

f Heb 11:4

g Mt 23:35

1Jo 3:10-12

Jud 11

hy die mens uitgedryf, en hy het die gerubs^a en die vlamme lem van 'n swaard wat heeltyd draai, aan die oostekant van die tuin van Eden geplaas om die weg na die boom van die lewe te bewaak.

4 En Adam het seksuele omgang met sy vrou, Eva, gehad, en sy het swanger geword.^b Toe sy aan Kain^c geboorte gegee het, het sy gesê: "Ek het met Jehovah se hulp 'n manlike kind voortgebring."^{*d} **2** Later het sy aan sy broer Abel^d geboorte gegee.

Abel het 'n herder geword, maar Kain het 'n landbouer geword. **3** Ná verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die grond as 'n offer aan Jehovah gebring. **4** Maar Abel het van die eersgeborenes* van sy kleinvee^e gebring, insluitende die vet. Jehovah het Abel en sy offer goedgekeur,^f **5** maar hy het Kain en sy offer nie goedgekeur nie. Kain het toe baie kwaad geword, en hy was ongelukkig. **6** Toe het Jehovah vir Kain gesê: "Hoekom is jy so kwaad en ongelukkig? **7** As jy begin doen wat goed is, sal jy weer my goedkeuring geniet. Maar as jy dit nie doen nie, lê die sonde by die deur en loer, en dit wil jou oorheers. Maar sal jy die oorhand daarvoor kry?"

8 Daarna het Kain vir sy broer Abel gesê: "Kom ons gaan in die veld in." Terwyl hulle in die veld was, het Kain sy broer Abel aangeval en hom doodgemaak.^g **9** Later het Jehovah vir Kain gevra: "Waar is jou broer Abel?" En hy het geantwoord: "Ek weet nie. Is ek my broer se oppasser?" **10** Toe het Hy gesê: "Wat het jy gedoen?"

4:1 ^oOf "aan 'n manlike kind geboorte gegee".
4:4 *Lett. "eerstelinge".

Luister! Jou broer se bloed roep van die grond af na my toe uit.^a

11 En nou is jy vervloek en verban van die grond af wat jou broer se bloed uit jou hand ontvang het.^b **12** Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie vir jou sy opbrengs gee nie. Jy sal 'n vlugteling en 'n swerwer op die aarde word." **13** Toe het Kain vir Jehovah gesê: "Die straf vir my oortreding is te groot om te dra. **14** Vandag verdryf u my uit hierdie gebied,* en ek sal nie meer voor u aangesig wees nie. Ek sal 'n vlugteling en 'n swerwer op die aarde word, en as enigiemand my vind, sal hy my beslis doodmaak." **15** Toe het Jehovah vir hom gesê: "Om dit te voorkom, sal daar sewe keer wraak geneem word op enigiemand wat Kain doodmaak."

Jehovah het dus 'n teken vir Kain vasgestel sodat niemand wat hom vind, hom sou doodmaak nie. **16** Kain het toe van Jehovah af weggegaan en in die Land van Ballingskap,* oos van Eden,^c gaan woon.

17 Daarna het Kain seksuele omgang met sy vrou^d gehad, en sy het swanger geword en aan Henog geboorte gegee. Toe het hy 'n stad gebou en die stad na sy seun Henog vernoem. **18** Later is Irad vir Henog gebore. Irad het die vader van Mehu'jael geword, en Mehu'jael het die vader van Metu'sael geword, en Metu'sael het die vader van Lameg geword.

19 Lameg het vir hom twee vrouens geneem. Die naam van die eerste was Ada, en die naam van die tweede was Silla. **20** Ada het aan Jabal geboorte gegee. Hy was die eerste persoon wat in tente ge-

4:14 *Lett. "van die oppervlak van die grond af". 4:16 *Of "die land Nod".

HFST. 4

a Heb 12:24

b Ge 9:5

c Ge 2:8

d Ge 5:4

Tweede kol.

a Ge 4:15

b Ge 5:3

1Kr 1:1

c Ge 4:8

Mt 23:35

Heb 11:4

d Ge 5:6

Lu 3:23, 38

HFST. 5

e Ge 1:26

Jak 3:9

f Ge 1:27

Mr 10:6

g Ge 2:23

Jes 45:12

Mt 19:4

h Ge 4:25

woon en vee gehad het. **21** Sy broer se naam was Jubal. Hy was die eerste persoon wat op die harp en op die fluit gespeel het. **22** Silla het geboorte gegee aan Tubal-Kain, wat alderhande soorte gereedskap uit koper en yster gesmee het. En Tubal-Kain se suster was Naäma. **23** Toe het Lameg hierdie woorde vir sy vrouens, Ada en Silla, gesê:

"Hoor my stem, o vrouens van Lameg,

luister na my woorde:

'n Man het ek doodgemaak omdat hy my gewond het, ja, 'n jong man omdat hy my geslaan het.

24 As Kain 7 keer gewreek moet word,^a dan moet Lameg 77 keer gewreek word."

25 Adam het weer seksuele omgang met sy vrou gehad, en sy het aan 'n seun geboorte gegee. Sy het hom Set^b genoem, want soos sy gesê het: "God het vir my 'n ander nageslag[#] in Abel se plek gegee, want Kain het hom doodgemaak."^c **26** Set het ook 'n seun gehad, en hy het hom Enos^d genoem. In daardie tyd het mense die naam van Jehovah begin aanroep.

5 Dit is die boek van Adam se geskiedenis. Die dag toe God Adam geskep het, het Hy hom na die beeld* van God gemaak.^e

2 Man en vrou het hy hulle geskep.^f Op die dag toe hulle geskep is,^g het hy hulle gesê en hulle "mens"^h genoem.

3 Adam het 130 jaar gelewe en toe die vader geword van 'n seun wat soos hy was, wat na sy beeld was, en hy het hom Set^h genoem. **4** Nadat Adam die va-

4:25 *Beteken "aangestel; geplaas".
#Lett. "saad". 5:1 *Of "gelykenis".
5:2 *Of "Adam; mensdom".

der van Set geword het, het hy nog 800 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **5** En Adam was 930 jaar oud toe hy gesterf het.^a

6 Set het 105 jaar gelewe en toe die vader van Enos^b geword. **7** Nadat Set die vader van Enos geword het, het hy nog 807 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **8** En Set was 912 jaar oud toe hy gesterf het.

9 Enos het 90 jaar gelewe en toe die vader van Kenan geword. **10** Nadat Enos die vader van Kenan geword het, het hy nog 815 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **11** En Enos was 905 jaar oud toe hy gesterf het.

12 Kenan het 70 jaar gelewe en toe die vader van Mahala'lel^c geword. **13** Nadat Kenan die vader van Mahala'lel geword het, het hy nog 840 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **14** En Kenan was 910 jaar oud toe hy gesterf het.

15 Mahala'lel het 65 jaar gelewe en toe die vader van Jared^d geword. **16** Nadat Mahala'lel die vader van Jared geword het, het hy nog 830 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **17** En Mahala'lel was 895 jaar oud toe hy gesterf het.

18 Jared het 162 jaar gelewe en toe die vader van Henog^e geword. **19** Nadat Jared die vader van Henog geword het, het hy nog 800 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **20** En Jared was 962 jaar oud toe hy gesterf het.

21 Henog het 65 jaar gelewe en toe die vader van Metu'sa-

HFST. 5

a Ge 2:17
Ge 3:19
Ro 6:23
1Kor 15:22

b Ge 4:26
Lu 3:23, 38

c Lu 3:23, 37

d Lu 3:23, 37

e Jud 14

Tweede kol.

a Lu 3:23, 37

b Ge 6:9
De 8:6
De 13:4
3Jo 4
Jud 14, 15

c Joh 3:13
Heb 11:5

d Lu 3:23, 36

e Ge 7:1
Ese 14:14
Mt 24:37
Heb 11:7
1Pe 3:20
2Pe 2:5

f Ge 3:17

g Ge 10:21
Ge 11:10
Lu 3:23, 36

h Ge 6:10
Ge 10:6

i Ge 10:2

HFST. 6

j Job 1:6
Job 38:7
2Pe 2:4
Jud 6

lag^a geword. **22** Nadat Henog die vader van Metu'salag geword het, het hy nog 300 jaar lank met die ware God^a gewandel. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **23** En Henog het 365 jaar oud geword. **24** Henog het met die ware God bly wandel.^b Toe was hy nie meer daer nie, want God het hom weggenem.^c

25 Metu'salag het 187 jaar gelewe en toe die vader van Lameg^d geword. **26** Nadat Metu'salag die vader van Lameg geword het, het hy nog 782 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **27** En Metu'salag was 969 jaar oud toe hy gesterf het.

28 Lameg het 182 jaar gelewe en toe die vader van 'n seun geword. **29** Hy het hom Noag^e genoem en gesê: "Hy sal vir ons vertroosting^f bring van ons werk en van die pynlike arbeid van ons hande as gevolg van die grond wat Jehovah vervloek het."^f **30** Nadat Lameg die vader van Noag geword het, het hy nog 595 jaar gelewe. Hy het ook die vader van ander seuns en dogters geword. **31** En Lameg was 777 jaar oud toe hy gesterf het.

32 Nadat Noag 500 jaar oud geword het, het hy die vader van Sem,^g Gam^h en Jafetⁱ geword.

6 Toe die mense op die aarde meer geword het en dogters gehad het, **2** het die seuns van die ware God^j opgelet hoe mooi die dogters van die mense is. Hulle het dus almal wat hulle wou hê, as vrouens geneem.

5:22 *Sien Woordelys, "Ware God".
5:29 *Beteeken waarskynlik "rus; vertroosting". "Of "verligting".
6:2 *'n Hebreuse uitdrukking wat na die engele verwys.

3 Toe het Jehovah gesê: "Ek* sal nie vir ewig geduldig wees met die mens nie,^a want hy is maar net vlees.^a Daarom sal hy nog net 120 jaar lewe."^b

4 In daardie dae en ook daarna was die Nefilim* op die aarde. Want die seuns van die ware God het seksuele omgang met die dogters van die mense gehad, wat toe aan seuns geboorte gegee het. Hierdie seuns was die sterk manne van die ou tyd, die beroemde manne.

5 Toe het Jehovah gesien dat die mense baie goddeloos is en dat die gedagtes en die begeertes van hulle hart die hele tyd net sleg is.^c **6** Jehovah het spyt* gevoel dat hy mense op die aarde gemaak het, en hy was hartseer.^d **7** Daarom het Jehovah gesê: "Ek gaan die mense wat ek geskep het, van die aarde af wegvee, die mense sowel as die mak diere, die kruipende diere en die vlieënde diere van die hemel, want ek is spyt dat ek hulle gemaak het." **8** Maar Noag het Jehovah se goedkeuring geniet.

9 Dit is die geskiedenis van Noag:

Noag was 'n regverdige man.^e Hy was anders as die mense van sy tyd, want hy het 'n rein lewe geleë.* Noag het met die ware God gewandel.^f **10** Met verloop van tyd het Noag drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.^g **11** Maar die aarde het baie sleg geword in die oë van die ware God. En die aarde was vol geweld. **12** Ja, God het na die aarde gekyk en gesien dat

6:3 *Lett. "My gees". ^aOf "want hy tree op in ooreenstemming met die vlees". 6:4 *Betekend moontlik "die neervellers", d.w.s. dié wat ander laat val. Sien Woordelys. 6:6 *Of "bedroef". 6:9 *Of "hy was onberispelik".

HFST. 6

a Ge 7:4
1Pe 3:20

b 2Pe 3:9

c Ge 8:21
Jer 17:9
Mt 15:19

d Ps 78:40, 41

e Ge 7:1
Ese 14:14
Heb 11:7

f 2Pe 2:5

g Ge 5:32

Tweede kol.

a Op 11:18

b Mt 24:37-39
2Pe 2:5

c Ge 7:4

d Heb 11:7

e Ge 14:10
Eks 2:3

f Ge 7:16

g Ge 1:7
Ge 7:6, 11

h Ge 7:21
Ps 104:29
Mt 24:39
2Pe 2:5

i Ge 7:13

j Ge 8:17

k Ge 7:2

dinge baie sleg was.^a Al die mense* op die aarde het slegte lewens geleë.^b

13 Daarna het God vir Noag gesê: "Ek het besluit om al die mense* te vernietig, want die aarde is vol geweld as gevolg van hulle, en daarom gaan ek hulle vernietig en die aarde verwoes.^c **14** Maak vir jou 'n ark* van die hout van gombome."^d Jy moet afdelings in die ark maak en dit binne en buite met teer^e bedek. **15** Dit is hoe jy dit moet maak: Die ark moet 300 el* lank, 50 el breed en 30 el hoog wees. **16** Jy moet 'n venster* vir die ark maak, een el van die bokant af, sodat lig kan inskyn. Jy moet die ingang van die ark aan die kant maak,^f en jy moet 'n onderste verdieping, 'n tweede verdieping en 'n derde verdieping maak.

17 "Ek gaan vloedwaters^g oor die aarde bring om al die mense en diere daarop* te vernietig. Alles op die aarde sal sterf.^h **18** En ek maak my verbond met jou, en jy moet in die ark ingaan saam met jou seuns, jou vrou en jou seuns se vrouens.ⁱ **19** En bring twee van elke soort dier,^j 'n mannetjie en 'n wyfie, in die ark sodat hulle saam met jou kan bly lewe:^k **20** van die vlieënde diere volgens hulle soorte, die mak diere volgens hulle soorte en al die kruipende diere van die aarde

6:12 *Lett. "Alle vlees". 6:13 *Lett. "alle vlees". 6:14 *Lett. "'n kis"; 'n groot vaartuig. ^aMoontlik sipesbome. ^bOf "pik". 6:15 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanb. B14. 6:16 *Hebreeus: tso/har. 'n Ander moontlikheid is dat dit nie na 'n venster of 'n opening vir lig verwys nie, maar eerder na 'n skuins dak waarvan die hoogste punt een el hoër is as die laagste punt. 6:17 *Lett. "alle vlees onder die hemel wat die gees van die lewe het".

volgens hulle soorte. Twee van elke soort sal na jou toe kom en in die ark ingaan sodat hulle kan bly lewe.^a **21** En jy moet verskillende soorte kos^b bymeekaarmaak en dit saamneem sodat jy en die diere daarvan kan eet.”

22 Noag het alles gedoen wat God hom beveel het. Hy het net so gedoen.^c

7 Daarna het Jehovah vir Noag gesê: “Gaan in die ark in, jy en jou hele gesin. Want jy is die enigste een van hierdie geslag wat regverdig is in my oë.^d **2** Jy moet sewe van elke soort rein dier^{e*} saam met jou neem, die mannetjie en die wyfie, en net twee van elke soort onrein dier, die mannetjie en die wyfie, **3** en ook sewe van elke soort vlieënde dier van die hemel,^f mannetjie en wyfie, sodat hulle kan bly lewe en 'n nageslag op die hele aarde kan hê.^f **4** Want oor net sewe dae sal ek dit 40 dae en 40 nagte^g op die aarde laat reën,^h en ek sal elke lewende wese wat ek gemaak het, van die oppervlak van die aarde af wegvee.”ⁱ **5** Toe het Noag alles gedoen wat Jehovah hom beveel het.

6 Noag was 600 jaar oud toe die vloedwaters oor die aarde gekom het.^j **7** Voordat die vloedwaters gekom het, het Noag saam met sy seuns, sy vrou en sy seuns se vrouens in die ark ingegaan.^k **8** Van elke soort rein dier en van elke soort onrein dier en van elke soort vlieënde dier en van alles wat op die aarde rondbeweeg,^l **9** het daar twee na Noag toe in die ark ingegaan, mannetjie

7:2 *Of moontlik “sewe pare van elke rein dier”. **7:3** *Of moontlik “sewe pare van elke vlieënde dier van die hemel”.

HFST. 6

a Ge 7:14, 15

b Ge 1:29, 30

c Eks 40:16
Heb 11:7

HFST. 7

d Ge 6:9
Heb 10:38
Heb 11:7
1Pe 3:12
2Pe 2:5, 9

e Ge 8:20

f Ge 7:23
Ge 8:19

g Ge 7:11, 12

h Ge 2:5

i Ge 6:7, 17

j Ge 8:13

k Lu 17:27
Heb 11:7

l Ge 6:19, 20

Tweede kol.

a Ge 1:7
Ge 8:2b Ge 9:18
1Kr 1:4c Ge 6:18
1Pe 3:20
2Pe 2:5

d 2Pe 3:5, 6

en wyfie, net soos God Noag beveel het. **10** Sewe dae later het die vloedwaters toe oor die aarde gekom.

11 In die 600ste jaar van Noag se lewe, in die tweede maand, op die 17de dag van die maand, op daardie dag, het al die fonteine van die groot waterdieptes oopgebars en is die sluis van die hemel oopgemaak.^a **12** En die reën het 40 dae en 40 nagte op die aarde neergestort. **13** Op daardie selfde dag het Noag saam met sy seuns, naamlik Sem, Gam en Jafet,^b sowel as sy vrou en die drie vrouens van sy seuns^c in die ark ingegaan. **14** Hulle het ingegaan saam met al die diere volgens hulle soorte: die wilde diere, die mak diere, die kruipende diere van die aarde en die vlieënde diere, dit wil sê elke voël en elke ander dier met vlerke. **15** Twee van elke soort dier wat die asem^{*} van die lewe het, het na Noag in die ark bly gaan. **16** Hulle het ingegaan, mannetjie en wyfie van elke soort vlees, net soos God Noag beveel het. Daarna het Jehovah die deur agter hom toegemaak.

17 Dit het 40 dae lank op die aarde gereën. Die waters het al hoe meer geword, en die ark het begin dryf, en die ark het uiteindelik hoog bo die aarde gedryf. **18** Die waters op die aarde het al hoe meer geword en bly styg, maar die ark het op die waters gedryf. **19** Die waters op die aarde het so hoog gestyg dat al die hoë berge onder die hemel bedek is.^d **20** Die waters het tot 15 el^{*} bo die berge gestyg.

21 En alle lewende wesens wat op die aarde rondbeweeg

7:15 *Of “gees”. **7:20** *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

het, het doodgegaan^a – die vlieënde diere, die mak diere, die wilde diere, al die ander diere en al die mense.^b **22** Alles op die droë grond wat die asem* van die lewe het, het gesterf.^c **23** So het Hy elke lewende ding van die oppervlak van die aarde af weggee, insluitende die mense, die diere, die kruipende diere en die vlieënde diere van die hemel. Hulle is almal van die aarde af weggee.^d Net Noag en dié wat saam met hom in die ark was, het bly lewe.^e **24** En die waters het die aarde 150 dae lank bedek.^f

8 Maar God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat saam met hom in die ark was,^g en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het begin sak. **2** Die fontein van die waterdieptes en die sluis van die hemel is toegemaak, en die reën het opgehou.^h **3** Toe het die waters op die aarde geleidelik begin sak. Ná 150 dae was die water baie minder. **4** In die sewende maand, op die 17de dag van die maand, het die ark op die A'rarat-berge tot rus gekom. **5** Die waters het bly vermind, en in die tiende maand, op die eerste dag van die maand, het die toppe van die berge verskyn.ⁱ

6 Toe, aan die einde van 40 dae, het Noag die venster/oopgemaak wat hy vir die ark gemaak het **7** en 'n kraai uitgestuur. Dit het herhaalde-lik buitentoe gevlieg en teruggekom, totdat die waters van die aarde af opgedroog het.

8 Later het hy 'n duif uitgestuur om te sien of die waters wat op die oppervlak van die

7:22 *Of "gees". 8:2 *Of "is teruggehou".

HFST. 7

a Ge 6:7, 17

b Lu 17:27

c Ge 2:7
Ge 7:15
Pr 3:19
Jes 42:5

d Ge 6:7
2Pe 3:5, 6

e Mt 24:37-39
1Pe 3:20
2Pe 2:5, 9

f Ge 8:3

HFST. 8

g Ge 6:19, 20
Heb 11:7

h Ge 7:11, 12

i Ge 7:20

j Ge 6:16

Tweede kol.

a Ge 7:19

b Ge 7:20
Ge 8:3

c Ge 7:6, 11

d Ge 7:7
1Pe 3:20
2Pe 2:5

e Ge 6:19, 20
Ge 7:14, 15

f Ge 1:22

g Ge 6:10

h Ge 7:13, 14

aarde was, gesak het. **9** Die duif het nie 'n rusplek gevind waar dit kon gaan sit nie, en daarom het dit na Noag teruggekom in die ark, want die waters het nog steeds die oppervlak van die hele aarde bedek.^a Toe het hy sy hand uitgesteek en die duif terugbring in die ark in. **10** Hy het nog sewe dae gewag, en toe het hy die duif weer uit die ark uitgestuur. **11** Toe die duif teen die aand na hom toe terugkom, het hy gesien dat daar 'n vars geplukte olyfblaar in sy bek was! Noag het dus geweet dat die waters op die aarde heelwat gesak het.^b **12** Hy het nog sewe dae gewag. Toe het hy die duif uitgestuur, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.

13 In die 60ste jaar,^c in die eerste maand, op die eerste dag van die maand, het die waters gedreineer van die aarde af. Noag het die bedekking van die ark verwyder en gesien dat die oppervlak van die aarde besig was om droog te word. **14** In die tweede maand, op die 27ste dag van die maand, was die aarde droog.

15 God het toe vir Noag gesê: **16** "Gaan uit die ark uit saam met jou vrou, jou seuns en jou seuns se vrouens.^d **17** Bring al die diere van elke soort^e uit – die vlieënde diere en die ander diere en al die kruipende diere van die aarde – sodat hulle kan vermeerder op die aarde en vrugbaar kan wees en baie kan word op die aarde."^f

18 Noag het dus uit die ark uitgegaan saam met sy seuns,^g sy vrou en sy seuns se vrouens. **19** Al die diere – al die kruipende diere en al die vlieënde diere, alles wat op die aarde rondbeveeg – het volgens hulle soorte uit die ark uitgegaan.^h **20** Toe

het Noag 'n altaar vir Jehovah gebou^a en van al die rein diere en van al die rein vlieënde diere^b geneem en brandoffers op die altaar geoffer.^c **21** En die geur van die offer was vir Jehovah aangenaam. Toe het Jehovah in sy hart gesê: "Ek sal nooit weer die grond vervloek^d weens die mens nie, want die neiging van die mens se hart is van jongs af sleg.^e Ek sal nooit weer alles wat lewe, vernietig soos ek gedoen het nie.^f **22** Van nou af sal daar altyd saaiyd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, en dag en nag op die aarde wees."^g

9 God het Noag en sy seuns gesê en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie en vul die aarde.^h **2** Al die diere van die aarde, al die vlieënde diere van die hemel, alles wat op die aarde kruip en al die visse van die see sal vir julle bang wees. Julle sal oor hulle heers.ⁱ **3** Al die diere wat beweeg en lewe, mag vir julle as voedsel dien.^j Net soos ek vir julle die groen plante gegee het, gee ek hulle almal vir julle.^k **4** Net vleis met sy lewe* - sy bloed^l - mag julle nie eet nie.^m **5** En ek sal rekenskap eis vir julle lewensbloed. Ek sal rekenskap eis van elke dier, en ek sal dit eis van elke mens vir die lewe van sy broer.ⁿ **6** Enigiemand wat 'n ander mens doodmaak,* sal doodgemaak word,^o want God het die mens na Sy beeld gemaak.^p **7** En julle moet vrugbaar wees en baie word en grootliks vermeerder op die aarde."^q

8 Toe het God vir Noag en sy seuns gesê: **9** "Ek maak nou 'n

9:2 *Of "Hulle is in julle hand gegee". 9:4, 12 *Of "siel". 9:6 *Lett. "Enigiemand wat 'n mens se bloed vergiet".

HFST. 8

- a Ge 12:7
b Ge 7:2
Le 20:25
c De 27:6
d Ge 3:17
Ge 5:29
e Ge 6:5
Pr 7:20
Mt 15:19
f Ge 6:7, 17
Ge 9:11
Jes 54:9
g Ge 1:14
Ps 74:17
Pr 1:4

HFST. 9

- h Ge 1:28
i Ge 1:26
Jak 3:7
j 1Ti 4:3
k Ge 1:29
l Le 17:11, 14
m Le 3:17
Le 7:26
Le 17:10, 13
De 12:16, 23
Han 15:20, 29
Han 21:25
n Ge 4:8, 10
Eks 21:12
o Eks 20:13
Nu 35:30
Mt 26:52
p Ge 1:27
q Ge 1:28
Ge 10:32

Tweede kol.

- a Ge 9:15
Jes 54:9
b Ge 8:17
c Ge 8:21
d Ge 8:21
e Ge 9:12, 13
f Ge 5:32
Ge 7:7
Ge 10:1
g Ge 10:6
h Ge 10:32

verbond met julle^a en julle nageslag **10** en met al die lewendes wat by julle is - die voëls, die diere, al die lewendes wat by julle is, alles wat uit die ark uitgekome het - elke lewendes wese van die aarde.^b **11** Ja, ek maak 'n verbond met julle: Nooit weer sal alles wat lewe* deur vloedwaters vernietig word nie, en nooit weer sal 'n vloed die aarde verwoes nie."^c

12 God het bygevoeg: "Dit is die teken van die verbond tussen my en julle en elke dier* wat by julle is, vir alle toekomstige geslagte. **13** Ek sit my reënboog in die wolk, en dit sal dien as 'n teken van die verbond tussen my en die aarde. **14** Wanneer ek ook al 'n wolk oor die aarde bring en die reënboog in die wolk verskyn, **15** sal ek besluit dink aan die verbond tussen my en julle en al die diere van elke soort, en daar sal nooit weer 'n vloed wees wat alles wat lewe,* vernietig nie.^d **16** Wanneer die reënboog in die wolk verskyn, sal ek dit besluit sien en dink aan die ewige verbond tussen God en al die lewendes wesen van elke soort wat op die aarde is."

17 God het weer vir Noag gesê: "Dit is die teken van die verbond wat ek maak met alle lewendes wesen* wat op die aarde is."^e

18 Noag se seuns wat uit die ark uitgekome het, was Sem, Gam en Jafet.^f Gam het later die pa van Kanaän^g geword. **19** Hierdie drie was Noag se seuns, en die hele aarde se bevolking het van hulle afgestam en is oor die aarde versprei.^h

20 En Noag het 'n landbouer geword en 'n wingerd geplant.

9:10 *Of "siele". 9:11, 15, 17 *Lett. "alle vlees".

21 Eendag het hy van die wyn gedrink en dronk geword, en hy het al sy klere uitgetrek in sy tent. **22** Gam, die pa van Kanaän, het gesien dat sy pa kaal is, en hy het vir sy twee broers buite daarvan gaan vertel. **23** Toe het Sem en Jafet 'n kleed geneem en dit op hulle skouers gesit en agteruit in die tent ingeloop. So het hulle hulle pa bedek terwyl hulle gesigte weggedraai was, en hulle het nie hulle pa se kaal liggaam gesien nie.

24 Toe Noag nugter word en uitvind wat sy jongste seun aan hom gedoen het, **25** het hy gesê:

“Mag Kanaän vervloek wees.^a

Laat hom die laagste van sy broers se slawe word.”^b

26 En hy het bygevoeg:

“Mag Jehovah, die God van Sem, geloof word, en mag Kanaän Sem se slaaf word.^c

27 Mag God vir Jafet baie grond gee, en mag hy in die tente van Sem woon.

Mag Kanaän vir hom ook 'n slaaf word.”

28 Noag het nog 350 jaar ná die Vloed gelewe.^d **29** Noag was 950 jaar oud toe hy gesterf het.

10 Dít is die geskiedenis van Noag se seuns, Sem,^e Gam en Jafet:

Ná die Vloed het hulle seuns gehad.^f **2** Die seuns van Jafet was Gomer,^g Magog,^h Madai, Javan, Tubal,ⁱ Meseg^j en Tiras.^k

3 Die seuns van Gomer was As'kenas,^l Rifat en Togar'ma.^m

4 Die seuns van Javan was Eli'sa,ⁿ Tarsis,^o Kittim^p en Do'daním.

HFST. 9

- a De 7:1
- b Jos 17:13
- c Rig 1:28
- d Ge 7:6

HFST. 10

- e Lu 3:23, 36
- f Ge 9:18, 19
- g Ese 38:6
- h Ese 38:2
- i Jes 66:19
- Ese 27:13
- j Ps 120:5
- Ese 32:26
- k 1Kr 1:5-7
- l Jer 51:27
- m Ese 27:14
- Ese 38:6
- n Ese 27:7
- o Jon 1:3
- p Jes 23:1

Tweede kol.

- a Ge 50:11
- b Jer 46:9
- Na 3:9
- c Nu 34:2
- 1Kr 1:8-10
- d Ps 72:10
- e Ese 27:22
- f Ge 11:9
- g Esr 4:9
- h Da 1:2
- i Mi 5:6
- j Jon 3:3
- Mt 12:41
- k Jer 46:9
- l 1Kr 1:11, 12
- m Ese 29:14
- n Jos 13:2, 3
- Jer 47:4
- o De 2:23
- p Jos 13:6
- Mr 7:24
- q Ge 25:10
- Ge 27:46
- 1Kr 1:13-16
- r Rig 1:21
- s Ge 15:16
- De 3:8
- t Jos 11:3
- u Ese 27:11
- v 1Kr 8:65
- w Ge 20:1
- x Jos 15:20, 47
- Han 8:26
- y Ge 13:10
- Ge 19:24
- Jud 7

5 Hulle nageslag het na die eilande versprei en het daar gaan woon volgens hulle tale, hulle families en hulle nasies.

6 Die seuns van Gam was Kus, Misra'im,^a Put^b en Kanaän.^c

7 Die seuns van Kus was Seba,^d Ha'wila, Sabta, Raäma^e en Sab'tega.

Die seuns van Raäma was Skeba en Dedan.

8 Kus het die vader geword van Nimrod. Hy het die eerste magtige persoon op die aarde geword. **9** Hy het 'n magtige jagter in teenstand teen Jehovah geword. Daarom is daar 'n gesegde: “Net soos Nimrod, 'n magtige jagter in teenstand teen Jehovah.”

10 Die eerste stede* van sy koninkryk was Babel,^f Ereg,^g Akkad en Kalne. Dit was in die land Si'near.^h **11** Hy het van hierdie land na Assi'riëⁱ gegaan en Ni'neve,^j Re'hobot-Ir en Kalag gebou, **12** sowel as Resen, wat tussen Ni'neve en Kalag is: Dit is die groot stad.*

13 Misra'im het die vader geword van Ludim,^k A'namim, Le'habim, Naf'tuhim,^l **14** Pa'trusim,^m Kas'luhim (van wie die Filistyneⁿ afstam) en Kaf'torim.^o

15 Kanaän het die vader geword van Sidon,^p sy eersgeborene, en Het,^q **16** sowel as die Jebusiete,^r die Amoriete,^s die Girgasiete, **17** die Hewiete,^t die Arkiete, die Siniete, **18** die Arwadiete,^u die Semariete en die Hamatiete.^v Daarna is die families van die Kanaäniete verstrooi. **19** En die grens van die Kanaäniete het van Sidon tot by Gerar,^w naby Gasa,^x gestrek, en tot by Sodom, Gomor'ra,^y Adma en

10:10 *Lett. “Die begin”. 10:12 *Of moontlik “Hulle vorm die groot stad”.

Sebo'jim,^a naby Lasa. **20** Dit was die seuns van Gam volgens hulle families, tale, lande en nasies.

21 Sem het ook kinders gehad. Hy was die voorvader van al die seuns van Eber^b en die broer van Jafet, die oudste.* **22** Die seuns van Sem was Elam,^c Assur,^d Arpag'sad,^e Lud en Aram.^f

23 Die seuns van Aram was Us, Hul, Geter en Mas.

24 Arpag'sad het die vader geword van Selag,^g en Selag het die vader geword van Eber.

25 Eber het twee seuns gehad. Die naam van die een was Peleg,^{*h} want dit was in sy leeftyd dat die bevolking van die aarde[#] verdeel is. Sy broer se naam was Joktan.ⁱ

26 Joktan het die vader geword van Almo'dad, Selef, Hasarma'wet, Jerag,^j **27** Had'o'ram, Usal, Dikla, **28** Obal, Abi'mael, Skeba, **29** Ofir,^k Ha'wila en Jobab. Hulle almal was die seuns van Joktan.

30 Hulle woonplek het gestrek van Mesa tot by Sefar, die bergstreek van die Ooste.

31 Dit was die seuns van Sem volgens hulle families en hulle tale, volgens hulle lande en hulle nasies.^l

32 Dit was die families van die seuns van Noag volgens hulle geslagslyne en volgens hulle nasies. Ná die Vloed het die nasies van hulle afgestam en is hulle oor die hele aarde versprei.^m

11 In daardie dae het die hele aarde nog steeds een taal en een woordeskat gehad. **2** Terwyl hulle ooswaarts ge-

10:21 *Of moontlik "en die ouer broer van Jafet". 10:25 *Betekens "verdeelheid". #Lett. "dat die aarde".

HFST. 10

a De 29:23

b Ge 11:17

c Esr 4:9
Han 2:8, 9

d Ese 27:23

e Ge 11:10

f 1Kr 1:17

g Ge 11:12
Lu 3:23, 35

h Ge 11:16

i 1Kr 1:19

j 1Kr 1:20-23

k 1Kn 9:28
1Kn 10:11

l Ge 10:5

m Ge 9:7
Ge 9:19
Han 17:26

Tweede kol.

HFST. 11

a Ge 10:9, 10
Da 1:2

b Ge 9:1

c Ge 11:1

d Ge 1:26

e De 32:8

f Jer 50:1

g Ge 6:10
Lu 3:23, 36

h Ge 10:22

1Kr 1:17

i Ge 10:21

j Ge 10:24
1Kr 1:18
Lu 3:23, 35

trek het, het hulle 'n valleivlakte in die land Si'near^a ontdek, en hulle het daar gaan woon.

3 Toe het hulle vir mekaar gesê: "Laat ons bakstene maak en dit in die vuur bak." Hulle het toe bakstene in plaas van klip gebruik, en asfalt as messelklei.

4 En hulle het gesê: "Laat ons vir ons 'n stad bou, en 'n toring wat tot by die hemel reik, sodat ons beroemd kan word en nie regoor die aarde verstrooi word nie."^b

5 Toe het Jehovah neerge-daal om die stad en die toring te sien wat die mense gebou het.

6 Jehovah het toe gesê: "Hulle is een volk met een taal,^c en kyk wat doen hulle nou! Nou sal niks wat hulle beplan om te doen, vir hulle onmoontlik wees nie. **7** Laat ons^d neerdaal en hulle taal verwar sodat hulle nie meer mekaar se taal kan verstaan nie." **8** So het Jehovah hulle van daar af oor die hele aarde verstrooi,^e en hulle het geleidelik opgehou om die stad te bou. **9** Daarom is dit Babel^{*f} genoem, want daar het Jehovah die taal van die hele aarde verwar, en Jehovah het hulle van daar af oor die hele aarde verstrooi.

10 Dit is die geskiedenis van Sem:^g

Twee jaar ná die Vloed, toe Sem 100 jaar oud was, het hy die vader van Arpag'sad^h geword.

11 Nadat Sem die vader van Arpag'sad geword het, het hy nog 500 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.ⁱ

12 Toe Arpag'sad 35 jaar oud was, het hy die vader van Selag^j geword. **13** Nadat Arpag'sad die vader van Selag geword het, het hy nog 403 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

11:9 *Betekens "verwarring".

14 Toe Selag 30 jaar oud was, het hy die vader van Eber^a geword. 15 Nadat Selag die vader van Eber geword het, het hy nog 403 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

16 Toe Eber 34 jaar oud was, het hy die vader van Peleg^b geword. 17 Nadat Eber die vader van Peleg geword het, het hy nog 430 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

18 Toe Peleg 30 jaar oud was, het hy die vader van Rehu^c geword. 19 Nadat Peleg die vader van Rehu geword het, het hy nog 209 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

20 Toe Rehu 32 jaar oud was, het hy die vader van Serug geword. 21 Nadat Rehu die vader van Serug geword het, het hy nog 207 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

22 Toe Serug 30 jaar oud was, het hy die vader van Nahor geword. 23 Nadat Serug die vader van Nahor geword het, het hy nog 200 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

24 Toe Nahor 29 jaar oud was, het hy die vader van Tera^d geword. 25 Nadat Nahor die vader van Tera geword het, het hy nog 119 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

26 Nadat Tera 70 jaar oud geword het, het hy die vader van Abram,^e Nahor^f en Haran geword.

27 Dit is die geskiedenis van Tera:

Tera het die vader van Abram, Nahor en Haran geword, en Haran het die vader van Lot^g geword. 28 Haran het in sy geboorteland, Ur^h van die Galdeërs,ⁱ gesterf terwyl sy vader, Tera, nog gelewe het.

- HFST. 11
 a Ge 10:21
 1Kr 1:18
 b Ge 10:25
 1Kr 1:19
 c Lu 3:23, 35
 d Ge 11:32
 Lu 3:23, 34
 e Ge 12:7
 Ge 15:1, 6
 Ge 17:5
 Jak 2:23
 f Jos 24:2
 g Ge 12:4
 Ge 19:1
 2Pe 2:7
 h Ge 15:7
 Ne 9:7
 i Han 7:4

Tweede kol.

- a Ge 12:11
 Ge 17:15
 Ge 20:12, 13
 1Pe 3:6
 b Ge 22:20
 Ge 24:15
 c Ge 16:1, 2
 Ro 4:19
 Heb 11:11
 d Ge 11:27, 28
 e Ge 10:19
 f Ge 12:4
 Ge 27:42, 43
 Han 7:2, 4

HFST. 12

- g Jos 24:3
 Han 7:3, 4
 h Ge 13:14, 16
 Ge 15:1, 5
 Ge 17:5
 Ge 22:17, 18
 De 26:5
 i Ge 27:29, 30
 j Han 3:25
 Ga 3:8
 k Heb 11:8
 l Ge 11:29
 m Ge 11:31
 n Ge 13:5, 6
 o Ge 26:3
 p Han 7:15, 16
 q Ge 35:4
 De 11:29, 30

29 Abram en Nahor het vir hulle vrouens geneem. Abram se vrou was Sarai,^a en Nahor se vrou was Milka,^b die dogter van Haran, die vader van Milka en Jiska. 30 Sarai was onvrugbaar;^c sy het geen kinders gehad nie.

31 Tera het toe sy seun Abram geneem en sy kleinseun Lot,^d die seun van Haran, en sy skoonogter Sarai, die vrou van sy seun Abram, en hulle het saam met hom uit Ur van die Galdeërs getrek om na die land Kanaän^e te gaan. Ná verloop van tyd het hulle by Haran^f gekom en daar gaan woon. 32 Tera was 205 jaar oud toe hy in Haran gesterf het.

12 En Jehovah het vir Abram gesê: "Trek weg uit jou land en van jou familieleden en van die huis van jou pa af en gaan na die land wat ek jou sal wys.^g 2 Ek sal jou 'n groot nasie maak. Ek sal jou seën en sorg dat jy geëerd is, en jy sal 'n seën vir ander word.^h 3 Ek sal diegene seën wat jou seën, en ek sal die persoon vervloek wat jou vervloek,ⁱ en al die families van die aarde sal deur middel van jou geseën word."^{*j}

4 Abram het dus getrek, net soos Jehovah vir hom gesê het, en Lot het saam met hom gegaan. Abram was 75 jaar oud toe hy Haran verlaat het.^k

5 Abram het sy vrou, Sarai,^l en Lot, die seun van sy broer,^m saamgeneem, sowel as al die besittings wat hulle versamel hetⁿ en die mense wat hulle in Haran verkry het, en hulle het na die land Kanaän vertrek.^o Toe hulle in die land Kanaän aangekom het, 6 het Abram verder deur die land gereis tot by Sigem,^p naby die groot bome van More.^q

12:3 *Of "n seën vir hulleself verkry".

In daardie tyd was die Kanaäniete in die land. **7** Jehovah het toe aan Abram verskyn en gesê: "Aan jou nageslag^a gaan ek hierdie land gee."^b Hy het dus 'n altaar daar gebou vir Jehovah, wat aan hom verskyn het. **8** Later het hy van daar af na die bergstreek oos van Bet-El^c getrek en sy tent opgeslaan met Bet-El aan die westekant en Ai^d aan die oostekant. Daar het hy 'n altaar vir Jehovah gebou^e en die naam van Jehovah begin aanroep.^f **9** Daarna het Abram kamp opgebreek en toe sy kamp van plek tot plek verskuif terwyl hy in die rigting van die Negeb getrek het.^g

10 'n Hongersnood het toe in die land ontstaan, en Abram het na Egipte gegaan om 'n ruk lank daar te bly,^h want die hongersnood in die land was baie erg.ⁱ **11** Toe hy op die punt was om in Egipte in te gaan, het hy vir sy vrou Sarai gesê: "Luister, asseblief! Ek weet dat jy 'n pragtige vrou is.^j **12** Wanneer die Egiptenare jou sien, gaan hulle beslis sê: 'Dit is sy vrou.' Dan sal hulle my doodmaak, maar hulle sal jou laat lewe. **13** Sê asseblief dat jy my suster is. Dan sal ek goed behandel word as gevolg van jou, en my lewe sal gespaar word."^k

14 Toe Abram in Egipte ingaan, het die Egiptenare gesien dat die vrou baie mooi is. **15** En Faraó se amptenare het haar ook gesien, en hulle het Faraó begin vertel hoe mooi sy is, en die vrou is na die huis van Faraó geneem. **16** Hy het Abram goed behandel as gevolg van haar, en Abram het skape, beeste, donkies, slawe, slavinne en kamele ontvang.^l **17** Toe

12:7 *Lett. "saad". 12:10 *Of "om as 'n uitlander daar te woon". 12:13 *Of "my siel sal bly lewe".

HFST. 12

a Ge 3:15
Ge 21:12
Ge 28:13, 14
Ro 9:7
Ga 3:16

b Ge 13:14, 15
Ge 15:1, 7
Ge 17:1, 8
De 34:4

c Ge 28:16-19
Ge 31:13

d Ge 13:1, 3
Jos 7:2

e Ge 8:20
Ge 35:2, 3

f Ge 26:25

g Ge 20:1
Ge 24:62

h Ps 105:13

i Ge 26:1, 2

j Ge 26:7

k Ge 20:11, 12

l Ge 20:14
Ge 24:34, 35

Tweede kol.

a Ge 11:29
Ge 17:15
Ge 23:2, 19

b Ge 20:11, 12

c Ps 105:14

HFST. 13

d Ge 12:9
Ge 20:1

e Ge 24:34, 35

f Ge 12:8, 9
Jos 7:2

g Ge 10:19

h Ge 11:27

het Jehovah Faraó en sy huis met ernstige plaë getref as gevolg van Sarai, Abram se vrou.^a

18 Faraó het Abram dus geroep en gesê: "Wat het jy aan my gedoen? Hoekom het jy my nie vertel dat sy jou vrou is nie?"

19 Hoekom het jy gesê: 'Sy is my suster'?'^b Ek het op die punt gestaan om haar as my vrou te neem! Hier is jou vrou. Neem haar en gaan!" **20** Faraó het sy manne dus beveel om hom weg te stuur, saam met sy vrou en alles wat hy gehad het.^c

13 Abram het toe met sy vrou en alles wat hy gehad het, uit Egipte na die Negeb getrek,^d en Lot was saam met hom. **2** Abram was ryk en het baie vee, silwer en goud besit.^e

3 Terwyl hy van die Negeb na Bet-El getrek het, het hy sy kamp van plek tot plek verskuif totdat hy by die plek aangekom het waar sy tent voorheen was, tussen Bet-El en Ai,^f **4** die plek waar hy vroeër 'n altaar gebou het. Daar het Abram die naam van Jehovah aangeroep.

5 En Lot, wat saam met Abram gereis het, het ook skape, beeste en tente besit. **6** Daar was dus nie genoeg grond vir hulle almal nie. Hulle besittings het so baie geword dat hulle nie meer saam kon woon nie. **7** As gevolg hiervan het Abram se veewagters en Lot se veewagters begin stry. (In daardie tyd het die Kanaäniete en die Perissiete in die land gewoon.)^g **8** Abram het dus vir Lot^h gesê: "Asseblief, daar moenie stryery wees tussen my en jou en tussen my veewagters en jou veewagters nie, want ons is broers. **9** Jy kan enige plek in die land gaan bly. Kom ons gaan uitmekaar. As jy links gaan, dan sal ek regs gaan, maar as jy regs gaan, dan sal ek

links gaan.” **10** Lot het toe om hom gekyk en die hele Jordaandistrik^a tot by Soar^b gesien. Hy het gesien dat daar baie water was en dat dit soos die tuin van Jehovah^c en soos Egipte was. (Dit was voordat Jehovah Sodom en Gomor’ra vernietig het.) **11** Toe het Lot vir hom die hele Jordaandistrik gekies, en Lot het sy kamp na die ooste verskuif. So het hulle uitmeekaargegaan. **12** Abram het in die land Kanaän gewoon, maar Lot het tussen die stede van die distrik gewoon.^d Uiteindelik het hy naby Sodom tent opgeslaan. **13** Maar die manne van Sodom was goddeloos en het erg gesondig teen Jehovah.^e

14 Nadat Lot weggegaan het, het Jehovah vir Abram gesê: “Kyk asseblief na die land om jou, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste, **15** want die hele land wat jy sien, sal ek aan jou en jou nageslag* gee as ’n permanente besitting.^f **16** En ek sal jou nageslag* soos die stof van die aarde maak. Net soos die stof van die aarde nie getel kan word nie, sal jou nageslag* ook nie getel kan word nie.^g **17** Staan op, reis deur die lengte en die breedte van die land, want ek gaan dit aan jou gee.” **18** En Abram het in tente bly woon. Later het hy tussen die groot bome van Mamre^h gaan woon, wat in He’bronⁱ is, en daar het hy ’n altaar vir Jehovah gebou.^j

14 En in daardie tyd was Am’rafel die koning van Si’near,^k A’riog was die koning van Ella’sar, Kedorlao’mer^l was die koning van Elam^m en Tidal was die koning van Gojim. **2** Hierdie konings het oorlog gevoer teen koning Bera van

13:15, 16 *Lett. “saad”.

- HFST. 13
- a Ge 19:28
- b Ge 19:20-22
- c Ge 2:8, 9
- d Ge 19:28, 29
- e Ge 18:20
Ge 19:5
2Pe 2:6-8
Jud 7
- f Ge 12:7
Ge 15:18
Ge 24:7
Eks 33:1
- g Ge 12:2
Ge 15:1, 5
Eks 1:7
Heb 11:12
- h Ge 18:1
Ge 23:19
Ge 25:9, 10
Ge 35:27
- i Ge 23:2
- j Ge 12:7

- HFST. 14
- k Ge 10:9, 10
- l Ge 14:17
- m Ge 10:22

Tweede kol.

- a Ge 10:19
Ge 13:12
- b Ge 13:10, 12
- c De 29:23
- d Ge 14:10
- e Nu 34:2, 12
- f De 2:10, 11
- g De 2:12
- h Ge 36:8
- i Nu 20:1
- j Ge 36:12
1Sa 15:2
- k Ge 10:15, 16
- l 2Kr 20:2
- m Ge 14:1, 2
- n Ge 14:16
- o Ge 19:1

Sodom,^a koning Birsa van Gomor’ra,^b koning Sinab van Adma, koning Seme’ber van Sebo’jim^c en die koning van Bela, dit wil sê Soar. **3** Hulle almal het hulle leërmagte by die Siddim-vallei,^d dit wil sê die Soutsee,^e bymekaar laat kom.

4 Hulle het Kedorlao’mer 12 jaar lank gedien, maar in die 13de jaar het hulle in opstand gekom. **5** En in die 14de jaar het Kedorlao’mer en die konings wat saam met hom was, die Refaïete in As’terot-Karna’im verslaan, sowel as die Susiete in Ham, die Emiete^f in Sawe-Kirjata’im **6** en die Horiëte^g in die Seïr-berge^h tot by El-Paran, aan die grens van die wildernis. **7** Toe het hulle teruggedraai en by En-Mispat, dit wil sê Kades,ⁱ gekom en die hele gebied van die Amalekiete^j verower en ook die Amoriëte^k wat in Ha’sason-Ta’mar^l gewoon het.

8 Toe het die koning van Sodom, die koning van Gomor’ra, die koning van Adma, die koning van Sebo’jim en die koning van Bela, dit wil sê Soar, met hulle leërmagte in gevegsformasie in die Siddim-vallei opgetrek **9** teen koning Kedorlao’mer van Elam, koning Tidal van Gojim, koning Am’rafel van Si’near en koning A’riog van Ella’sar^m – vier konings teen die vyf. **10** Die Siddim-vallei was vol asfaltputte, en toe die konings van Sodom en Gomor’ra probeer wegom, het hulle daarin geval, en die res het na die bergstreek gevlug. **11** Toe het die oorwinnaars al die goed van Sodom en Gomor’ra en al hulle kos geneem en weggegaan.ⁿ **12** Hulle het ook Lot, Abram se broerskind wat in Sodom gewoon het,^o en al sy besittings saamgeneem.

14:3 *Die Dooie See.

13 Daarna het 'n man wat weggekome het, vir Abram, die Hebreër, kom vertel wat gebeur het. Op daardie tydstip het Abram gewoon* tussen die groot bome van Mamre, die Amoriet,^a die broer van Eskol en Aner.^b Abram en hierdie manne het belowe om mekaar te help. **14** Abram het dus gehoor dat sy familielid*^c gevange geneem is. Toe het hy sy opgeleide manne bymekaargebring, 318 knegte wat in sy huis gebore is, en die ontvoerders tot by Dan^d agternagesit. **15** In die nag het hy sy groep knegte opgedeel, en hy en sy knegte het hulle aangeval en verslaan. En hy het hulle tot by Hoba, noord van Damaskus, agternagesit. **16** Hy het al die goed teruggekry, sowel as sy familielid Lot, Lot se besittings, die vrouens en die ander mense.

17 Nadat Abram teruggekeer het van die oorwinning oor Kedorlaamër en die konings wat saam met hom was, het die koning van Sodom gegaan om Abram by die Sawe-vallei, dit wil sê die Vallei van die Koning,^e te ontmoet. **18** En Melgise'dek,^f die koning van Salem^g en priester van die allerhoogste God,^h het brood en wyn uitgebring.

19 Toe het hy hom geseën en gesê:

“Mag Abram geseën word deur die allerhoogste God, die Maker van hemel en aarde.

20 En mag die allerhoogste God geloof word, wat jou onderdrukkers aan jou oorgegee het!”

En Abram het hom 'n tiende van alles gegee.ⁱ

14:13 *Of “in tente gewoon”. **14:14** *Lett. “broer”.

HFST. 14

a Ge 13:18

b Ge 14:24

c Ge 11:27

d Rig 18:29

e 2Sa 18:18

f Ps 110:4
Heb 6:20

g Heb 7:1, 2

h Ps 83:18
Heb 5:5, 10

i Heb 7:4

Tweede kol.

a Ge 14:13

HFST. 15

b Ps 27:1
Jes 41:10
Ro 8:31
Heb 13:6

c De 33:29
Spr 30:5

d Ge 17:5, 6

e Ge 24:2, 3

f Ge 12:7
Han 7:5

g Ge 17:15, 16
Ge 21:12

h Ge 22:17
De 1:10
Ro 4:18
Heb 11:12

i Heb 11:8

j Ro 4:13, 22
Ga 3:6
Jak 2:23

21 Daarna het die koning van Sodom vir Abram gesê: “Gee die mense vir my, maar neem die goedere vir jou.” **22** Maar Abram het vir die koning van Sodom gesê: “Ek lig my hand op in 'n eed tot Jehovah, die allerhoogste God, die Maker van hemel en aarde, **23** dat ek niks, nie eers 'n garingdraad of 'n sandaalriem, sal neem wat aan u behoort nie, sodat u nie kan sê: ‘Ek het Abram ryk gemaak’ nie. **24** Ek sal niks neem behalwe wat die jong manne reeds geëet het nie. Maar laat Aner, Eskol en Mamre,^a die manne wat saam met my gegaan het, hulle deel neem.”

15 Daarna het Jehovah in 'n visioen vir Abram gesê: “Moenie bang wees nie,^b Abram. Ek is 'n skild vir jou.^c Jou beloning sal baie groot wees.”^d **2** Abram het gevra: “Soewereine Heer Jehovah, wat sal u my gee, aangesien ek nog steeds kinderloos is en Eliëser,^e 'n man van Damaskus, my huis gaan erf?” **3** Abram het bygevoeg: “U het my geen nageslag*^f gegee nie, en 'n kneg*^g van my huis sal my erfgenaam wees.” **4** Maar Jehovah se antwoord aan hom was: “Hierdie man sal nie jou erfgenaam wees nie. Jou eie seun sal jou erfgenaam wees.”^g

5 Toe het God vir Abram gesê om buitentoe te gaan, en hy het vir hom gesê: “Kyk asseblief op na die hemel en tel die sterre, as jy kan.” Toe het hy vir hom gesê: “So sal jou nageslag*^h word.” **6** En Abram het geloof in Jehovah gestel,ⁱ en daarom het Hy hom as regverdig beskou.^j **7** En hy het bygevoeg: “Ek is Jehovah, wat jou uit Ur van die Galdeërs gebring het om hierdie land aan

15:3, 5 *Lett. “saad”. **15:3** [#]Lett. “seun”.

jou te gee as jou besitting.”^a
8 Toe het hy gevra: “Soewer-
 ine Heer Jehovah, hoe kan ek
 seker wees dat ek dit in besit
 sal neem?” **9** Hy het hom ge-
 antwoord: “Neem vir my ’n drie
 jaar oue koei, ’n drie jaar oue
 bokooi, ’n drie jaar oue skaap-
 ram, ’n tortelduif en ’n jong
 duif.” **10** En hy het al hierdie
 diere gemeem en hulle in twee
 gesny en die twee stukke van
 elke dier oorkant mekaar gesit,*
 maar hy het nie die voëls op-
 gesny nie. **11** Toe het die roof-
 voëls op die karkasse begin toe-
 sak, maar Abram het hulle bly
 wegjaag.

12 Net voordat die son onder-
 gegaan het, het ’n diep slaap
 oor Abram gekom, en dit het
 donker om hom geword. Dit
 was ’n groot en skrikwekkende
 duisternis. **13** Toe het Hy
 vir Abram gesê: “Jy moet weet
 dat jou nageslag* uitlanders sal
 wees in ’n land wat nie aan hulle
 behoort nie en dat die mense
 in daardie land hulle slawe
 sal maak en hulle 400 jaar lank
 sleg sal behandel.^b **14** Maar
 ek sal die nasie oordeel wat slawe
 van hulle maak,^c en daarna
 sal hulle met baie besittings
 weggaan.^d **15** Wat jou betref,
 jy sal ná ’n lang en goeie lewe in
 vrede sterf* en begrawe word.^e
16 Maar in die vierde geslag sal
 hulle hierheen terugkeer,^f want
 die tyd het nog nie gekom vir
 die Amoriete om vir hulle sonde
 gestraf te word nie.”^g

17 Toe die son ondergegaan
 het en dit baie donker geword
 het, het ’n rokende oond verskyn
 en het ’n vuurfakkeltussen
 die stukke deurgegaan.
18 Op daardie dag het Jehovah

15:10 *Of “elke deel daarvan so gesit
 dat dit by die ander pas”. **15:13, 18**
 *Lett. “saad”. **15:15** *Lett. “na jou va-
 ders gaan”.

HFST. 15

a Ge 11:31
 Ne 9:7

b Ge 21:9
 Eks 1:13, 14
 Eks 3:7
 Han 7:6, 7

c Eks 7:4
 Nu 33:4

d Eks 3:22
 Ps 105:37

e Ge 25:8

f Jos 14:1
 Han 7:7

g 1Kn 21:26
 2Kn 21:11

Tweede kol.

a Ge 17:19
 Ge 22:17

b Eks 3:8

c 1Kn 4:21

d 1Sa 15:6

e Jos 1:4

f Eks 3:17

g Jos 17:15

h De 7:1

HFST. 16

i Ge 15:2, 3

j Ga 4:25

k Ge 30:1, 3

l Ge 25:17, 18
 Eks 15:22

’n verbond met Abram gemaak^a
 en gesê: “Aan jou nageslag* sal
 ek hierdie land gee,^b van die ri-
 vier van Egipte af tot by die
 groot rivier, die Eufratrivier:^c
19 die land van die Keniete,^d
 die Kenissiete, die Kadmoniete,
20 die Hetiete,^e die Perissiete,^f
 die Refaïete,^g **21** die Amorie-
 te, die Kanaäniete, die Girgasie-
 te en die Jebusiete.”^h

16 En Sarai, Abram se vrou,
 kon vir hom geen kinders
 gee nie,ⁱ maar sy het ’n Egiptiese
 diensmeisie gehad met die
 naam Hagar.^j **2** Sarai het dus
 vir Abram gesê: “Luister asse-
 blief! Jehovah het my nie toe-
 gelaat om kinders te hê nie.
 Slaap asseblief by my diensmeisie.
 Miskien kan ek deur mid-
 del van haar kinders kry.”^k
 En Abram het na Sarai geluister.
3 Nadat Abram tien jaar
 lank in die land Kanaän gewoon
 het, het sy vrou, Sarai, haar
 Egiptiese diensmeisie Hagar vir
 haar man, Abram, as vrou ge-
 gee. **4** Toe het hy seksuele om-
 gang met Hagar gehad, en sy het
 swanger geword. Toe sy besef
 dat sy swanger is, het sy op haar
 meesteres begin neersien.

5 Sarai het vir Abram gesê:
 “Dit is jou skuld dat ek so sleg
 behandel word. Ek het my diens-
 meisie vir jou gegee,* maar toe
 sy besef dat sy swanger is, het
 sy op my begin neersien. Mag
 Jehovah tussen my en jou oor-
 deel.” **6** Abram het dus vir Sa-
 rai gesê: “Sy is jou diensmeisie.
 Doen met haar wat jy ook
 al goeddink.” Toe het Sarai haar
 verneder, en Hagar het van haar
 af weggevlug.

7 Later het Jehovah se engel
 haar by ’n waterfontein in die
 wildernis gevind, die fontein op
 pad na Sur.^l **8** En hy het gevra:

16:5 *Lett. “aan jou boesem oorge-
 gee”.

“Hagar, diensmeisie van Sarai, waar kom jy vandaan en waarheen is jy op pad?” Toe het sy gesê: “Ek het van my meesteres, Sarai, af weggevlug.” **9** Jehovah se engel het toe vir haar gesê: “Gaan terug na jou meesteres en wees onderdanig aan haar.” **10** Toe het Jehovah se engel gesê: “Ek sal jou nageslag* grootliks vermeerder, en hulle sal te veel wees om te tel.”^a **11** Jehovah se engel het bygevoeg: “Jy is swanger, en jy sal geboorte gee aan ’n seun, en jy moet hom Is'mael* noem, want Jehovah het gehoor dat jy swaarkry. **12** Hy sal soos ’n wildedonkie* wees. Hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees, en hy sal oorkant al sy broers woon.”^h

13 Toe het sy die naam van Jehovah, wat met haar gepraat het, aangeroop en gesê: “U is ’n God wat sien.”^b En sy het gesê: “Het ek regtig hier die Een gesien wat my sien?” **14** Daarom is die put Beër-Lahai-Roi* genoem. (Dit is tussen Kades en Bered.) **15** Later het Hagar aan ’n seun geboorte gegee vir Abram, en Abram het sy seun Is'mael^c genoem. **16** Abram was 86 jaar oud toe Hagar aan Is'mael geboorte gegee het.

17 Toe Abram 99 jaar oud was, het Jehovah aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Lewe in ooreenstemming met my wil*

16:10; 17:7-10, 12 *Lett. “saad”. **16:11** *Betekens “God hoor”. **16:12** *Of “’n onager”, ’n soort wilde donkie, hoewel party dink dat dit na ’n sebra verwys. Dit dui moontlik op ’n onafhanklike gees. *Of moontlik “en daar sal vyandskap tussen hom en sy broers wees”. **16:14** *Betekens “put van die Een wat lewe en wat my sien”. **17:1** *Lett. “Wandel voor my”.

HFST. 16

a Ge 17:20
Ge 25:13-16
1Kr 1:29-31

b Spr 15:3

c Ge 21:9
Ga 4:22, 24

Tweede kol.

HFST. 17

a Ge 15:18
Ps 105:8-11

b Ge 22:17
De 1:10
Heb 11:11, 12

c Ps 105:9-11

d Ge 13:16
Ro 4:17

e Ge 35:10, 11

f Lu 1:72, 73

g Eks 6:4
Heb 11:8, 9

h De 14:2

i Ge 21:4
Ro 2:29

j Han 7:8
Ro 4:11

k Lu 2:21

en lei ’n rein lewe.* **2** Ek sal ’n verbond met jou maak,^a en ek sal jou baie vermeerder.”^b

3 Toe het Abram met sy gesig na die grond toe neergebui, en God het verder vir hom gesê: **4** “Ek het ’n verbond met jou gemaak,^c en jy sal beslis die vader van baie nasies word.”^d **5** Jou naam sal nie meer Abram* wees nie, maar Abraham,^e want ek sal jou die vader van baie nasies maak. **6** Ek sal jou baie vrugbaar maak en jou die voorvader van nasies maak, en konings sal van jou afstam.”^e

7 “En ek sal my verbond met jou^f en jou nageslag* nakom tot in al hulle geslagte, as ’n ewige verbond, sodat ek God kan wees vir jou en jou nageslag.* **8** En ek sal aan jou en jou nageslag* die land gee waarin jy as ’n uitlander gewoon het^g – die hele land Kanaän – as ’n permanente besitting, en ek sal hulle God wees.”^h

9 God het verder vir Abraham gesê: “Wat jou betref, jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag* in al hulle geslagte. **10** Dit is my verbond tussen my en julle wat julle en julle nageslag* moet nakom: Almal wat manlik is onder julle, moet besny word.ⁱ **11** Julle moet julle laat besny, en dit sal ’n teken wees van die verbond tussen my en julle.^j **12** In al julle geslagte moet elke manlike persoon onder julle wat agt dae oud is, besny word,^k elkeen wat in julle huise gebore is en elkeen wat nie van julle nageslag* is nie en wat by ’n uitlander gekoop is. **13** Elke man wat in jou huis gebore is en elke man wat met

17:1 *Of “en wees onberispelik”. **17:5** *Betekens “vader is hoog (verhewe)”. *Betekens “vader van ’n skare (menigte); vader van baie”.

jou geld gekoop is, moet besny word.^a Hierdie teken op julle liggame sal dien as bewys van my permanente verbond met julle. **14** As 'n man hom nie wil laat besny nie, moet daardie persoon doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word. Hy het my verbond verbreek.”

15 Toe het God vir Abraham gesê: “Wat Sarai,* jou vrou,^b betref, jy moet haar nie Sarai noem nie, want Sara^c sal haar naam wees. **16** Ek sal haar seën, en ek sal ook deur middel van haar vir jou 'n seun gee.^c Ek sal haar seën, en nasies sal van haar afstam. Konings van volke sal uit haar voortkom.” **17** Daarna het Abraham met sy gesig na die grond toe neergebuig en begin lag en in sy hart gesê:^d “Sal daar vir 'n man wat 100 jaar oud is, 'n kind geboore word, en sal Sara, 'n vrou wat 90 jaar oud is, geboorte gee?”^e

18 Abraham het dus vir die ware God gesê: “O, mag Is'mael voor u lewe!”^f **19** Toe het God gesê: “Sara, jou vrou, sal besliss vir jou aan 'n seun geboorte gee, en jy moet hom Isak^g noem. Dit is met hom wat ek my verbond sal bevestig as 'n ewige verbond vir sy nageslag.^h **20** Maar wat Is'mael betref, ek het jou gehoor. Ek sal hom seën en hom vrugbaar maak en hom baie vermeerder. Twaalf hoofmanne sal van hom afstam, en ek sal hom 'n groot nasie laat word.ⁱ **21** Maar dit is met Isak wat ek my verbond sal bevestig.^j Sara sal volgende jaar hierdie tyd aan hom geboorte gee.”^k

22 Nadat God met Abraham gepraat het, het Hy van hom af weggegaan. **23** Abraham het toe sy seun Is'mael geneem, so-

17:15 *Beteken moontlik “stryerig”.
 #Beteken “prinses”. 17:19 *Beteken “gelag”. #Lett. “saad”.

- HFST. 17
- a Eks 12:44
- b Ge 11:29
- c Ge 18:10
- d Ge 18:12
- e Ro 4:19
Heb 11:11
- f Ge 16:11
- g Mt 1:2
- h Ge 26:24
- i Ge 16:10
Ge 21:13, 18
Ge 25:13-16
1Kr 1:29-31
- j Ge 26:3
Heb 11:8, 9
- k Ge 18:10, 14
Ge 21:1

Tweede kol.

- a Ge 17:13
- b Han 7:8
Ro 4:11
- c Ge 16:16

HFST. 18

- d Ge 16:7
Rig 13:21
- e Ge 13:18
Ge 14:13
- f Ge 19:1
- g Ge 19:2
Ge 24:32

wel as al die manne wat in sy huis gebore is en almal wat hy gekoop het, almal wat manlik was in sy huis, en hy het hulle op daardie selfde dag besny, net soos God vir hom gesê het.^a **24** Abraham was 99 jaar oud toe hy hom laat besny het.^b **25** En sy seun Is'mael was 13 jaar oud toe hy hom laat besny het.^c **26** Op daardie selfde dag is Abraham en sy seun Is'mael besny. **27** Al die manne van sy huis, elkeen wat in sy huis geboore is en elkeen wat by 'n uitlander gekoop is, is ook saam met hom besny.

18 Later het Jehovah^d by die groot bome van Mamre^e aan Abraham verskyn terwyl hy gedurende die warmste deel van die dag by die ingang van die tent gesit het. **2** Hy het opgekyk en gesien dat drie manne 'n ent van hom af staan.^f Toe hy hulle sien, het hy van die ingang van die tent af na hulle toe gehardloop en na die grond toe neergebuig. **3** Toe het hy gesê: “Jehovah, as ek u goedkeuring het, moet u asseblief nie by u kneg verbygaan nie. **4** Ek sal water laat haal sodat julle voete gewas kan word.^g Daarna kan julle onder die boom rus. **5** Julle het nou na julle kneg toe gekom. Ek sal 'n stukkie brood bring sodat julle nuwe krag kan kry. Dan kan julle verder gaan.” Hulle het gesê: “Nou maar goed. Jy mag doen soos jy gesê het.”

6 Toe het Abraham vinnig na die tent getoegaan, waar Sara was, en gesê: “Maak gou! Kry drie mate* fynmeel, knie die deeg en maak brode.” **7** Daarna het Abraham na die beeste gehardloop en 'n goeie jong bul met sagte vleis gekies. Hy het dit vir

18:6 *Lett. “sea”. 'n Sea was gelyk aan 7,33 l. Sien Aanh. B14.

die dienaar gegee, wat dit vinnig voorberei het. **8** Hy het toe botter en melk en die jong bul wat hy voorberei het, geneem en dit aan hulle bedien. Toe het hy by hulle onder die boom gestaan terwyl hulle geëet het.^a

9 Hulle het vir hom gevra: "Waar is Sara, jou vrou?"^b Hy het geantwoord: "Hier in die tent." **10** Toe het een van hulle gesê: "Ek sal beslis volgende jaar dié tyd na jou toe terugkeer, en dan sal jou vrou Sara 'n seun hê."^c En Sara het geluister by die ingang van die tent, wat agter die man was. **11** Abraham en Sara was oud.^d Sara was al te oud om kinders te hê.^e **12** Sara het dus by haarself gelag en gesê: "Sal ek regtig sulke vreugde ervaar, noudat ek en my heer oud is?"^f **13** Toe het Jehovah vir Abraham gesê: "Hoekom het Sara gelag en gesê: 'Gaan ek werklik geboorte gee, al is ek oud?'" **14** Is enigiets onmoontlik vir Jehovah?^g Ek sal volgende jaar dié tyd na jou toe terugkeer, en Sara sal 'n seun hê." **15** Maar Sara het dit ontken en gesê: "Ek het nie gelag nie!" want sy was bang. Maar hy het gesê: "Ja, jy het gelag!"

16 Toe het die manne opgestaan om te vertrek, en Abraham het saam met hulle geloop. Hulle het afgekyk in die rigting van Sodom.^h **17** Jehovah het gesê: "Ek sal nie vir Abraham wegsteek wat ek gaan doen nie."ⁱ **18** Abraham sal 'n groot en magtige nasie word, en al die nasies van die aarde sal deur middel van hom geseën word.^j **19** Want ek het Abraham leer ken, en ek weet dat hy sy seuns en sy nakomelinge sal beveel om Jehovah se weg te volg deur te doen wat reg en regverdig is,^k

18:18 * Of "n seën vir hulleself verkry".

HFST. 18

a Heb 13:2

b Ge 17:15

c Ge 17:21
Ge 21:2
Ro 9:9

d Ge 17:17

e Ro 4:19

f Heb 11:11
1Pe 3:6

g Jes 40:29
Mt 19:26
Lu 1:36, 37

h Ge 13:12

i Ps 25:14
Am 3:7

j Ge 12:1-3
Ga 3:14

k De 4:9

Tweede kol.

a 2Pe 2:7, 8

b Ge 13:13
Jud 7

c Ge 11:5
Eks 3:7, 8
Ps 14:2

d Ge 31:11
Ge 32:30

e Nu 16:22

f Ps 37:10, 11
Spr 29:16
Mal 3:18
Mt 13:49

g De 32:4

h Job 34:12
Jes 33:22

i Nu 14:18
Ps 86:15

sodat Jehovah sy belofte in verband met Abraham kan vervul."

20 Toe het Jehovah gesê: "Die klagte teen Sodom en Gomor'ra is baie groot,^a en hulle sonde is baie ernstig.^b **21** Ek sal afgaan om te sien of die klagte wat ek gehoor het, waar is en of hulle dade werklik so goddeloos is. Ek wil uitvind of dit so is of nie."^c

22 Toe het die manne daarvandaan vertrek en in die rigting van Sodom gegaan, maar Jehovah^d het by Abraham gebly. **23** Toe het Abraham nader gekom en gesê: "Gaan u regtig die regverdige mense saam met die goddelose mense vernietig?" **24** Sê nou daar is 50 regverdige mense in die stad. Sal u hulle vernietig? Sal u nie die plek vergewe ter wille van die 50 regverdige mense wat daarin is nie? **25** U sal tog sekerlik nie die regverdige persoon saam met die goddelose persoon doodmaak, sodat die regverdige persoon dieselfde uiteinde as die goddelose persoon sal hê nie!^f U sal dit nie doen nie.^g Sal die Regter van die hele aarde nie doen wat reg is nie?"^h **26** Toe het Jehovah gesê: "As ek 50 regverdige mense in die stad Sodom vind, sal ek die hele plek ter wille van hulle vergewe." **27** Maar Abraham het geantwoord: "Asseblief, Jehovah, laat my toe om weer met u te praat, al is ek net stof en as. **28** Sê nou daar is nie 50 regverdige mense nie, maar 5 minder. Sal u die hele stad vernietig weens die 5?" Toe het Hy gesê: "Ek sal dit nie vernietig as ek 45 daar vind nie."ⁱ

29 Maar Abraham het weer met hom gepraat en gesê: "Sê nou 40 word daar gevind." Hy het geantwoord: "Ek sal dit nie doen ter wille van die 40 nie."

30 Maar hy het verder gesê: "Jehovah, moet asseblief nie kwaad word nie,^a maar laat my verder praat: Sê nou daar word net 30 daar gevind." Hy het geantwoord: "Ek sal dit nie doen as ek 30 daar vind nie."

31 Maar hy het gesê: "Asseblief, Jehovah, laat my toe om weer met u te praat: Sê nou daar word net 20 daar gevind." Hy het geantwoord: "Ek sal dit nie vernietig ter wille van die 20 nie." **32** Laastens het hy gesê: "Jehovah, moet asseblief tog nie kwaad word nie, maar laat my nog net een keer praat: Sê nou daar word net tien daar gevind." Hy het geantwoord: "Ek sal dit nie vernietig ter wille van die tien nie." **33** Toe Jehovah klaar met Abraham gepraat het, het hy weggegaan,^b en Abraham het na sy plek teruggekeer.

19 Die twee engele het teen die aand by Sodom aangekom, en Lot het in die poort van Sodom gesit. Toe Lot hulle sien, het hy opgestaan, na hulle toe gegaan en met sy gesig na die grond toe neergebuig.^c **2** Hy het gesê: "Asseblief tog my here, kom asseblief saam na die huis van julle kneg en bly vanaand hier oor en laat julle voete gewas word. Dan kan julle vroeg opstaan en verder reis." Toe het hulle gesê: "Nee, ons sal op die openbare plein oornag." **3** Maar hy het so aangedring dat hulle saam met hom na sy huis toe gegaan het. Toe het hy 'n feesmaal vir hulle voorberei en ongesuurde brood gebak, en hulle het geëet.

4 Voordat hulle gaan slaap het, het 'n oproerige skare van die stad - al die mans van Sodom, jonk sowel as oud - die huis omsingel. **5** En hulle het vir Lot bly skree: "Waar is die manne wat vanaand na jou toe

HFST. 18
a Eks 34:6

b Ge 18:2, 22

HFST. 19
c Ge 18:2, 22

Tweede kol.
a Jud 7

b Rig 19:23, 24

c Ge 13:13
Ge 18:20

gekome het? Bring hulle uit na ons toe sodat ons met hulle seks kan hê."^a

6 Toe het Lot uitgegaan en die deur agter hom toegemaak. **7** Hy het gesê: "Asseblief, my broers, moenie goddeloos optree nie. **8** Asseblief tog, ek het twee dogters wat nog nooit seksuele omgang met 'n man gehad het nie. Laat ek hulle na julle toe uitbring, dan kan julle met hulle doen wat julle ook al wil. Maar moenie enigiets aan hierdie manne doen nie, want hulle is gaste in my huis* en onder my beskerming."^b **9** Toe het hulle gesê: "Staan terug!" En hulle het bygevoeg: "Hierdie uitlander het hier kom woon, en nou wil hy ons kom oordeel! Nou gaan ons erger dinge aan jou doen as aan hulle." En hulle het op Lot toegesak en vorentoe beweeg om die deur af te breek. **10** Toe het die manne Lot gegryp en hom in die huis ingetrek, en hulle het die deur toegemaak. **11** Hulle het toe die manne by die ingang van die huis, van die kleinste tot die grootste, met blindheid getref. En die manne het hard probeer om die deur te vind, maar hulle kon nie.

12 Toe het die manne in die huis vir Lot gesê: "Het jy enigiemand anders hier? Bring jou skoonseuns, jou seuns, jou dogters en al jou mense wat in die stad is, uit hierdie plek uit! **13** Want ons gaan hierdie plek vernietig omdat die klagte teen hulle so groot geword het voor Jehovah^c dat Jehovah ons gestuur het om die stad te vernietig." **14** Lot het dus uitgegaan en met sy skoonseuns begin praat, wat met sy dogters sou trou, en hy het bly sê: "Maak

19:8 * Lett. "in die skadu van my dak".

gou! Gaan uit hierdie plek uit, want Jehovah gaan die stad vernietig!" Maar sy skoonseuns het gedink dat hy 'n grap maak.^a

15 Teen dagbreek het die engele met dringendheid vir Lot gesê: "Maak gou! Neem jou vrou en jou twee dogters uit hierdie plek, anders gaan jy vernietig word wanneer die stad gestraf word vir sy sondes!"^b **16** Toe hy bly talm, het die manne sy hand en die hand van sy vrou en sy twee dogters gegryp, want Jehovah was genadig teenoor hom.^c Hulle het hom uitgebring en hom tot buite die stad gelei.^d **17** Net toe hulle hulle tot buite die stad gebring het, het een van hulle gesê: "Vlug vir julle lewe! Moenie agter julle kyk nie^e en moet nêrens in die distrik^f stilstaan nie! Vlug na die bergstreek sodat julle nie vernietig word nie!"

18 Toe het Lot vir hulle gesê: "Asseblief tog, Jehovah, nie soontoe nie! **19** Asseblief tog, u was genadig teenoor u kneeg en u was baie goed vir my* deur my lewe^g te red,^g maar ek kan nie na die bergstreek vlug nie, want ek is bang dat rampspoed my sal tref en dat ek sal sterf.^h **20** Asseblief, daar is 'n dorpie hier naby, en ek kan soontoe vlug. Dit is net 'n klein plekkie. Mag ek asseblief soontoe vlug? Dit is maar net 'n klein plekkie. Dan sal ek bly lewe."ⁱ **21** Toe het hy vir hom gesê: "Goed dan, ek sal doen wat jy vra.^j Ek sal nie die dorpie waarvan jy praat, vernietig nie.^j **22** Maak gou! Vlug soontoe, want ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie!"^k Daarom het hy die dorpie Soar* genoem.

19:19 *Of "het lojale liefde aan my betoon". ^gOf "siel". **19:20** *Of "my siel voortleef". **19:22** *Betekent "kleinheid".

HFST. 19

a Lu 17:28

b Lu 17:29-31

c Eks 33:19

d 2Pe 2:7-9

e Lu 9:62

f Ge 13:10

g Ps 143:11

h Ps 6:4

i Ps 34:15

j Ge 19:30
Ps 68:20

k 2Pe 3:9

l Ge 14:2

Tweede kol.

a De 29:23
Lu 17:29
2Pe 2:6

b Ge 13:10

c Lu 17:32
Heb 10:38

d Ge 18:2, 22

e Jud 7

f 2Pe 2:7, 8

g Ge 19:17

h Ge 19:20, 22

23 Die son het al opgekom toe Lot by Soar aangekom het. **24** Toe het Jehovah swael en vuur op Sodom en Gomor'ra laat reën – dit het van Jehovah, uit die hemel, gekom.^a

25 En hy het hierdie stede vernietig, ja, die hele distrik, sowel as al die inwoners van die stede en die plante van die grond.^b

26 Maar Lot se vrou, wat agter hom was, het begin terugkyk, en sy het 'n soutpilaar geword.^c

27 Abraham het vroeg die oggend opgestaan en na die plek gegaan waar hy voor Jehovah gestaan het.^d **28** Toe hy oor Sodom en Gomor'ra en die hele land van die distrik uitkyk, het hy iets skrikwekkends gesien. Daar was dik rook wat van die land opgestyg het, soos die dik rook van 'n drooigoond!^e **29** Toe God die stede van die distrik vernietig het, het God dus aan Abraham gedink en Lot weggestuur uit die stede wat hy vernietig het, die stede waar Lot gewoon het.^f

30 Later het Lot saam met sy twee dogters uit Soar getrek en in die bergstreek gaan woon,^g want hy was bang om in Soar^h te woon. Daarom het hy saam met sy twee dogters in 'n grot gaan woon. **31** En die oudste het vir die jongste gesê: "Ons pa is oud, en daar is nie 'n man in die land sodat ons kan trou, soos ander mense nie. **32** Kom ons gee vir ons pa wyn om te drink en dan slaap ons by hom, sodat ons ons pa se nageslag kan laat voortleef."

33 Daardie aand het hulle aanhoudend vir hulle pa wyn gegee om te drink. Toe het die eersgeborene ingegaan en by haar pa geslaap, maar hy het nie geweeet wanneer sy gaan lê het en wanneer sy opgestaan het nie. **34** Die volgende dag

het die oudste vir die jongste gesê: “Kyk, ek het gisteraand by ons pa geslaap. Kom ons gee vanaand ook vir hom wyn om te drink. Gaan jy in en dan slaap jy by hom, sodat ons ons pa se nageslag kan laat voortleef.”

35 Daardie aand het hulle dus aanhoudend vir hulle pa wyn gegee om te drink. Toe het die jonger dogter gegaan en by hom geslaap, maar hy het nie geweet wanneer sy gaan lê het en wanneer sy opgestaan het nie.

36 So het Lot se dogters albei by hulle pa swanger geword.

37 Die eersgeborene het aan 'n seun geboorte gegee en hom Moab^a genoem. Hy is die vader van die Moabiete van vandag.^b

38 Die jongste het ook aan 'n seun geboorte gegee, en sy het hom Ben-Ammi genoem. Hy is die vader van die Ammoniete^c van vandag.

20 Abraham het sy kamp daarvandaan verskuif^d na die land van die Negeb en tussen Kades^e en Sur^f begin woon. Terwyl hy in Gerar^g gewoon* het, **2** het Abraham weer van Sara, sy vrou, gesê: “Sy is my suster.”^h Toe het Abime'leg, die koning van Gerar, Sara na hom toe laat bring en haar geneem.ⁱ **3** Daarna het God in die nag in 'n droom vir Abime'leg gesê: “Kyk, jy is so goed as dood weens die vrou wat jy geneem het,^j want sy is getroud en sy behoort aan 'n ander man.”^k

4 Maar Abime'leg het nie aan haar geraak nie.* Daarom het hy gesê: “Jehovah, gaan u 'n nasie doodmaak wat eintlik onskuldig^m is? **5** Het hy nie vir my gesê: ‘Sy is my suster’ nie? En het sy nie ook gesê: ‘Hy is my broer’

20:1 *Of “as 'n uitlander gewoon”.
20:4 *D.w.s., hy het nie seksuele omgang met haar gehad nie. *Of “regverdig”.

HFST. 19

a De 2:9

b 1Kr 18:2

c De 2:19
Rig 11:4
Ne 13:1
Sef 2:9

HFST. 20

d Ge 13:18

e Nu 13:26

f Ge 25:17,18

g Ge 10:19

Ge 26:6

h Ge 12:11-13

Ge 20:11,12

i Ge 12:15

j Ge 12:17

Ps 105:14

k De 22:22

Tweede kol.

a Ps 105:14,15

b Job 42:8

c Ge 12:18,19

Ge 26:9,10

d Ge 12:11,12

Ge 26:7

e Ge 11:29

f Ge 12:1

g Ge 12:13

nie? Ek het in die opregtheid van my hart opgetree. Ek het nie geweet dat ek iets verkeerd doen nie.” **6** Toe het die ware God vir hom in die droom gesê: “Ek weet dat jy dit in die opregtheid van jou hart gedoen het. Daarom het ek gekeer dat jy teen my sondig, en ek het jou nie toegelaat om aan haar te raak nie. **7** Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet,^a en hy sal smeekgebode vir jou doen,^b en jy sal bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet dat jy sekerlik sal sterf, jy en almal wat aan jou behoort.”

8 Abime'leg het die oggend vroeg opgestaan en al sy knegte geroep en hulle al hierdie dinge vertel, en hulle het baie bang geword. **9** Toe het Abime'leg Abraham geroep en vir hom gesê: “Wat het jy aan ons gedoen? Watter sonde het ek teen jou gepleeg dat jy so 'n groot sonde oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy aan my gedoen het, is nie reg nie.” **10** En Abime'leg het verder vir Abraham gevra: “Hoekom het jy dit gedoen?”^c **11** Abraham het gesê: “Dit was omdat ek vir myself gesê het: ‘Daar is beslis geen vrees vir God in hierdie plek nie, en hulle sal my doodmaak as gevolg van my vrou.’^d **12** En buitendien, sy is werklik my suster, die dogter van my pa, maar nie die dogter van my ma nie, en sy het my vrou geword.^e **13** Toe God my die huis van my pa laat verlaat het^f en my laat rondswervet het, het ek vir haar gesê: ‘Dit is hoe jy lojale liefde aan my moet betoon: Oral waar ons gaan, moet jy van my sê: ‘Hy is my broer.’”^g

14 Abime'leg het toe skape en beeste en diensknegte en diensmeisies geneem en hulle

aan Abraham gegee, en hy het Sara, sy vrou, aan hom teruggegee. **15** Abime'leg het ook gesê: "Kyk, dit is my land. Jy kan woon waar jy ook al wil." **16** En vir Sara het hy gesê: "Hier gee ek jou broer^a 1000 stukke silwer. Dit is 'n teken van jou onskuld* vir jou eie mense en vir almal, en jy is vry van oneer." **17** En Abraham het smeekgebiede tot die ware God begin doen, en God het Abime'leg en sy vrou en sy slavinne gesond gemaak, en hulle het kinders begin kry, **18** want Jehovah het al die vrouens van die huis van Abime'leg onvrugbaar gemaak as gevolg van Sara, Abraham se vrou.^b

21 Jehovah het aan Sara gedink, net soos hy gesê het, en Jehovah het vir Sara gedoen wat hy belowe het.^c **2** Sara het swanger geword^d en vir Abraham op sy oudag 'n seun gegee op die vasgestelde tyd wat God hom belowe het.^e **3** Abraham het sy pasgebore seun, aan wie Sara geboorte gegee het, Isak^f genoem. **4** En Abraham het sy seun Isak besny toe hy agt dae oud was, net soos God hom beveel het.^g **5** Abraham was 100 jaar oud toe sy seun Isak vir hom gebore is. **6** Toe het Sara gesê: "God het my rede gegee om te lag. Almal wat hiervan hoor, sal saam met my lag."^{*} **7** En sy het bygevoeg: "Wie sou vir Abraham gesê het: 'Sara sal kinders borsvoed'? En tog het ek vir hom op sy oudag aan 'n seun geboorte gegee."

8 Isak het grootgeword, en op die dag dat sy ma opgehou het om hom te borsvoed,

20:16 *Lett. "Kyk, dit is vir jou 'n bedekking van die oë". **21:6** *Of moontlik "vir my lag".

HFST. 20

a Ge 20:2, 12

b Ge 12:17

HFST. 21

c Ge 18:10

d Heb 11:11

e Ge 17:21
Ge 18:10, 14
Ro 9:9

f Ge 17:19
Jos 24:3
Ro 9:7

g Ge 17:12
Le 12:3
Han 7:8

Tweede kol.

a Ge 16:4, 15

b Ge 15:13
Ga 4:22, 29

c Ge 15:2, 4
Ga 4:30

d Ge 17:18

e Ge 17:19
Ro 9:7
Heb 11:18

f Ga 4:22

g Ge 16:9, 10
Ge 17:20
Ge 25:12, 16

h Ge 25:5, 6

i Ge 22:19

j Ge 16:11

k Ge 16:7, 8

het Abraham 'n groot feesmaal voorberei. **9** Maar Sara het gesien dat die seun wat Hagar,^a die Egiptiese vrou, by Abraham gehad het, Isak heelyd spot.^b **10** Toe het sy vir Abraham gesê: "Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin gaan nie 'n erfgenaam wees saam met my seun, Isak, nie!"^c **11** Maar Abraham was ontsteld oor wat sy oor sy seun gesê het.^d **12** Toe het God vir Abraham gesê: "Moenie ontsteld wees oor wat Sara oor die seun en oor jou slavin sê nie. Luister na haar, want wat jou nageslag* genoem sal word, sal deur Isak wees.^e **13** Wat die seun van die slavin^f betref, ek sal hom ook 'n nasie maak,^g want hy is jou nageslag."^{**}

14 Toe het Abraham die oggend vroeg opgestaan en brood en 'n leersak vol water geneem en dit vir Hagar gegee. Hy het dit op haar skouer gesit en haar saam met die seun weggestuur.^h Sy het dus weggegaan en in die wildernis van Berse'baⁱ rondgedwaal. **15** Uiteindelik het die water in die leersak opgeraak, en sy het die seun onder een van die struikie gestoot. **16** Toe het sy verder gegaan en alleen gaan sit, omtrent die afstand van 'n boogskoot daarvan, want sy het gesê: "Ek wil nie sien hoe die kind sterf nie." Sy het dus op 'n afstand gaan sit en hard begin huil.

17 God het toe die stem van die seun gehoor,^j en God se engel het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê:^k "Wat is fout, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het die stem van die seun gehoor daar waar hy lê. **18** Staan op, tel die seun op en ondersteun hom,"^{*}

21:12, 13 *Lett. "saad". **21:18** *Lett. "en hou hom vas met jou hand".

want ek sal hom 'n groot nasie maak.”^a **19** Toe het God haar 'n waterput laat sien, en sy het gegaan en die leersak vol water gemaak en die seun laat drink. **20** En God was met die seun^b terwyl hy grootgeword het. Hy het in die wildernis gewoon en 'n boogskutter geword. **21** Hy het in die wildernis Paran^c gaan woon, en sy ma het vir hom 'n vrou uit Egipte geneem.

22 In daardie tyd het Abime'leg en Pikol, die hoof van sy leërmag, vir Abraham gesê: “God is met jou in alles wat jy doen.”^d **23** Sweer dan nou hier by God vir my dat jy nie my en my seuns en my nakomelinge sal bedrieg nie, en dat jy aan my en aan die land waarin jy woon, dieselfde lojale liefde sal betoon wat ek aan jou betoon het.”^e **24** Toe het Abraham gesê: “Ek sweer.”

25 Maar Abraham het by Abime'leg gekla oor die waterput wat die knegte van Abime'leg met geweld afgeneem het.^f **26** Abime'leg het geantwoord: “Ek weet nie wie dit gedoen het nie. Jy het my nie daarvan vertel nie, en ek het vandag eers daarvan gehoor.” **27** Toe het Abraham skape en beeste geneem en dit vir Abime'leg gegee, en hulle twee het 'n verbond gemaak. **28** Toe Abraham sewe oilammers van die kleinvee eenkant gesit het, **29** het Abime'leg vir Abraham gevra: “Hoekom het jy hierdie sewe oilammers eenkant gesit?” **30** Toe het hy gesê: “Jy moet die sewe oilammers uit my hand aanvaar, sodat dit as 'n getuienis kan dien dat ek hierdie put gegrawe het.” **31** Daarom het hy daardie plek Berse'ba*^g genoem, omdat hulle twee

21:31 *Betenen moontlik “put van die eed; put van sewe”.

HFST. 21

a 1Kr 1:29-31

b Ge 16:16

c Nu 10:12

d Ge 20:17, 18
Ge 26:26, 28

e Ge 20:14, 15

f Ge 26:15, 20

g Ge 26:32, 33

Tweede kol.

a Ge 26:26, 28

b Ge 10:13, 14
Ge 26:1

c Ps 90:2
Jes 40:28
1Ti 1:17

d Ge 12:8, 9
Ge 26:25

e Heb 11:8, 9

HFST. 22

f Heb 11:17

g Ge 17:19
Jos 24:3
Ro 9:7

h Joh 3:16

i 2Kr 3:1

daar 'n eed afgelê het. **32** Hulle het dus 'n verbond by Berse'ba gemaak,^a en daarna het Abime'leg en Pikol, die hoof van sy leërmag, opgestaan en na die land van die Filistyne^b teruggekeer. **33** Daarna het Abraham 'n tamariskboom by Berse'ba geplant, en daar het hy die naam van Jehovah, die ewige God,^c aangeroep.^d **34** En Abraham het nog lank in die land van die Filistyne gebly.*^e

22 Daarna het die ware God Abraham getoets.^f Hy het vir hom gesê: “Abraham!” En hy het geantwoord: “Hier is ek!” **2** Toe het hy gesê: “Neem asseblief jou seun Isak,^g jou enigste seun wat jy só liefhet,^h en reis na die land Mori'a' en offer hom daar as 'n brandoffer op een van die berge wat ek jou sal wys.”

3 Toe het Abraham vroeg die oggend opgestaan en sy donkie opgesaal en twee van sy knegte en sy seun Isak saam met hom geneem. Hy het die hout vir die brandoffer gekap, en toe het hy opgestaan en gereis na die plek wat die ware God vir hom aangedui het. **4** Op die derde dag het Abraham opgekyk en die plek in die verte gesien. **5** Abraham het toe vir sy knegte gesê: “Bly julle hier met die donkie. Ek en die seun sal soontoe gaan en aanbid en dan na julle toe terugkeer.”

6 Abraham het toe die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit. Toe het hy die vuur* en die mes^g geneem, en hulle twee het saam verder geloop. **7** Toe het Isak vir sy pa, Abraham, gesê: “Pa?” Hy het geantwoord: “Ja, my seun?” Toe het hy gesê: “Hier is die

21:34 *Of “as 'n uitlander gewoon”.

22:6 *Verwys moontlik na brandende kole. ^gOf “slagmes”.

vuur* en die hout, maar waar is die skaap vir die brandoffer?"

8 Abraham het gesê: "God sal self die skaap vir die brandoffer^a voorsien, my seun." En hulle twee het saam verder geloop.

9 Uiteindelik het hulle die plek bereik wat die ware God vir hom aangedui het, en Abraham het daar 'n altaar gebou en die hout daarop gesit. Hy het sy seun Isak se hande en voete vasgebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.^b **10** Toe het Abraham sy hand uitgesteek en die mes* geneem om sy seun dood te maak.^c **11** Maar Jehovah se engel het vanuit die hemel na hom geroep en gesê: "Abraham, Abraham!" En hy het geantwoord: "Hier is ek!"

12 Toe het hy gesê: "Moenie die seun seermaak nie en moet niks aan hom doen nie, want nou weet ek dat jy God vrees omdat jy jou seun, jou enigste seun, nie van my teruggehou het nie."^d **13** Toe het Abraham opgekyk, en net 'n entjie voor hom was daar 'n skaapram wat met sy horings in 'n bos vasgesit het. Toe het Abraham gegaan en die ram geneem en dit as 'n brandoffer in die plek van sy seun geoffer. **14** En Abraham het daardie plek Jehovah-Jireh* genoem. Daarom word daar vandag nog gesê: "Op die berg van Jehovah sal daar voorsien word."^e

15 En Jehovah se engel het 'n tweede keer vanuit die hemel na Abraham geroep **16** en gesê: "'Ek sweer by myself,' sê Jehovah,^f 'omdat jy hierdie ding gedoen het en jou seun, jou enigste seun, nie teruggehou het nie,^g **17** sal ek jou beslis

22:7 *Verwys moontlik na brandende kole. 22:10 *Of "slagmes". 22:14 *Betekent "Jehovah sal voorsien; Jehovah sal daarvoor sorg".

HFST. 22

a Joh 1:29
1Pe 1:18, 19

b Joh 10:17, 18

c Heb 11:17

d Heb 11:17-19
Jak 2:21

e Ge 22:2
2Kr 3:1

f Heb 6:13, 14

g Joh 3:16
Ro 8:32
Heb 11:17

Tweede kol.

a Ge 13:14, 16
Ge 15:1, 5
Han 3:25

b Ps 2:8
Da 2:44

c Ge 3:15
Ro 9:7
Ga 3:16

d Ga 3:8

e Ge 21:31

f Ge 11:26, 29

g Ge 25:20

h Ge 24:15
Ro 9:10

HFST. 23

i Ge 17:17

j Jos 14:15

k Ge 35:27
Nu 13:22

l Ge 12:5

m Ge 10:15

n Ge 17:1, 8
Heb 11:9, 13

o Ge 21:22

seën en jou nageslag* beslis vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sandkorrels op die strand.^a En jou nageslag* sal die stede[#] van sy vyande in besit neem.^b **18** En deur middel van jou nageslag*^c sal al die nasies van die aarde 'n seën vir hulleself verkry omdat jy na my stem geluister het."^d

19 Daarna het Abraham na sy knegte toe teruggekeer, en hulle het opgestaan en saam na Berse'ba^e teruggegaan. Abraham het in Berse'ba bly woon.

20 Later is daar vir Abraham vertel: "Milka het ook geboorte gegee aan seuns vir jou broer Nahor:^f **21** Us, die eersgeborene, sy broer Bus, Ke'muel (die pa van Aram), **22** Kessed, Haso, Pildas, Jidlaf en Be'tuel."^g **23** Be'tuel het die pa van Rebekka^h geword. Milka het aan hierdie agt geboorte gegee vir Nahor, Abraham se broer. **24** Sy byvrou, wie se naam Reüma was, het ook aan seuns geboorte gegee: Tebag, Gaham, Tahas en Ma'äga.

23 Sara het 127 jaar gelewe.ⁱ **2** Toe het Sara gesterf in Kirjat-Arba,^j dit wil sê He'bron,^k in die land Kanaän,^l en Abraham het oor Sara gerou en gehuil. **3** Toe het Abraham opgestaan en van sy oorlede vrou af weggegaan, en hy het vir die seuns van Het^m gesê: **4** "Ek is 'n uitlander en 'n tydelike inwoner onder julle.ⁿ Gee vir my 'n plek in julle gebied waar ek my oorlede vrou kan begrawe." **5** Toe het die seuns van Het Abraham geantwoord en gesê: **6** "Luis-ter na ons, my heer. U is 'n hoofman van God* onder ons.^o U mag u oorlede vrou begrawe in

22:17, 18 *Lett. "saad". 22:17 #Lett. "poort". 23:6 *Of moontlik "'n groot hoofman".

die beste graf wat ons het. Nie een van ons sal sy graf van u terughou en keer dat u u vrou daar begrawe nie.”

7 Toe het Abraham opgestaan en voor die inwoners van die land, voor die seuns van Het,^a neergebuig. 8 Hy het vir hulle gesê: “As julle my toelaat om my oorlede vrou hier te begrawe, luister dan na my en vra Efron, die seun van Sohar, 9 om die grot van Magpe’la, wat aan hom behoort, aan my te verkoop. Dit is by die grens van sy veld. Laat hom dit in julle teenwoordigheid vir die volle bedrag silwer aan my verkoop^b sodat ek ’n plek kan hê waar ek my vrou kan begrawe.”^c

10 Efron het daar tussen die seuns van Het gesit. Toe het Efron, die Hetiet, Abraham geantwoord in die teenwoordigheid van die seuns van Het en almal wat deur die poort van sy stad ingegaan het.^d Hy het gesê: 11 “Nee, my heer! Luister na my. Ek gee die veld en die grot daarin vir u. Ek gee dit vir u voor die seuns van my volk. Begrawe u vrou.” 12 Abraham het voor die inwoners van die land neergebuig 13 en met Efron gepraat terwyl die ander geluister het. Hy het gesê: “Nee, luister nou na my! Ek sal u die volle bedrag silwer vir die veld gee. Neem dit sodat ek my oorlede vrou daar kan begrawe.”

14 Toe het Efron Abraham geantwoord: 15 “My heer, luister na my. Hierdie stuk grond is 400 sikkels* silwer werd, maar wat is dit tussen my en u? Begrawe dan nou u vrou.” 16 Abraham het na Efron geluister, en Abraham het voor die seuns van Het vir hom die silwer afgeweeg waarvan Efron

23:15, 16 *n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanb. B14.

HFST. 23

a 1Kr 1:13

b Ge 23:15

c Ge 25:9, 10
Ge 49:29-33
Ge 50:13, 14

d Rut 4:1

Tweede kol.

a Han 7:15, 16

b Ge 25:9, 10
Ge 49:29-33
Ge 50:13, 14

HFST. 24

c Ge 13:2

d Ge 15:2, 3

e Ge 28:1
De 7:1, 3
2Kor 6:14

f Ge 22:20-23

g Ge 11:27, 28
Ge 15:7

h Heb 11:15

i Ge 12:1
Heb 11:8

j Mi 7:20
Lu 1:72, 73
Heb 6:13, 14

gepraat het, naamlik 400 sikkels* silwer, volgens die gewig wat deur die handelaars aanvaar is.^a 17 So is die veld van Efron in Magpe’la, wat voor Mamre is – die veld en die grot daarin en al die bome in die veld – oorgedra aan 18 Abraham as sy gekoopte eiendom. Die seuns van Het en almal wat deur die poort van sy stad ingegaan het, was ooggetuies hiervan. 19 Daarna het Abraham sy vrou Sara begrawe in die grot van die veld van Magpe’la voor Mamre, dit wil sê He’bron, in die land Kanaän. 20 So is die veld en die grot wat daarin was, deur die seuns van Het aan Abraham oorgedra sodat hy sy mense daar kon begrawe.^b

24 Teen hierdie tyd was Abraham baie oud, en Jehovah het Abraham in alles gesê.^c 2 Abraham het vir sy kneg, die oudste van sy huishouding, wat toesig gehou het oor alles wat hy gehad het,^d gesê: “Sit asseblief jou hand onder my bobeen, 3 en sweer by Jehovah, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy nie vir my seun ’n vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete, wat om my woon nie.^e 4 Jy moet eerder na my land en na my familieledes^f gaan en daar ’n vrou vir my seun Isak neem.”

5 Maar die kneg het vir hom gevra: “Sê nou die vrou wil nie saam met my na hierdie land kom nie? Moet ek u seun dan terugneem na die land waar u vandaan gekom het?”^g 6 Toe het Abraham vir hom gesê: “Maak seker dat jy my seun nie daaraan terugneem nie.^h 7 Jehovah, die God van die hemel, het my uit my pa se huis en uit die land van my familieledesⁱ weggeneem. Hy het met my gepraat en vir my gesweer:^j ‘Aan

jou nageslag^{*a} gaan ek hierdie land gee.^b Hy sal sy engel voor jou uit stuur,^c en jy sal beslis 'n vrou van daar vir my seun neem.^d **8** Maar as die vrou nie saam met jou wil kom nie, sal jy vry wees van hierdie eed. Maar jy moenie my seun daarheen terugneem nie.” **9** Toe het die kneg sy hand onder die bobeen van sy meester Abraham gesit en vir hom gesweer.^e

10 Die kneg het dus tien van sy meester se kamele sowel as allerhande goeie dinge van sy meester geneem en vertrek. Toe het hy na Mesopota^{mië}, na die stad van Nahor, gegaan. **11** Hy het die kamele by 'n waterput buite die stad laat kniel. Dit was al amper aand, die tyd wanneer die vrouens gewoonlik uitgegaan het om water te skep. **12** Toe het hy gesê: “Jehovah, die God van my meester Abraham, laat my asseblief vandag suksesvol wees en betoon u lojale liefde aan my meester Abraham. **13** Kyk, ek staan by 'n waterfontein, en die dogters van die manne van die stad kom uit om water te skep. **14** Laat die volgende gebeur: Ek sal vir 'n jong vrou sê: ‘Laat asseblief jou waterkruik sak sodat ek kan drink.’ As sy antwoord: ‘Drink, en ek sal ook vir u kamele water gee,’ laat sy dan die een wees wat u vir u kneg Isak kies. Laat my op hierdie manier weet dat u lojale liefde aan my meester betoon het.”

15 Nog voordat hy klaar gepraat het, het Rebekka uitgeklim met haar waterkruik op haar skouer. Sy was die dogter van Be'tuel,^f die seun van Milka,^g die vrou van Nahor,^h Abraham se broer. **16** Die jong vrou was baie mooi, 'n maagd. Sy het nog nooit seksuele om-

HFST. 24

a Heb 11:18

b Ge 13:14, 15
Ge 26:3, 4
De 34:4
Han 7:4, 5

c Heb 1:7, 14

d Ge 12:5

e Ge 24:2, 3

f Ge 22:23

g Ge 11:29

h Ge 11:26

Tweede kol.

a Ge 22:23

b Ge 11:29

gang met 'n man gehad nie. Sy het na die fontein afgegaan, haar waterkruik vol gemaak en toe teruggekom. **17** Die kneg het dadelik na haar toe gehardloop en gesê: “Gee my asseblief 'n slukkie water uit jou kruik.” **18** En sy het gesê: “Drink, my heer.” Toe het sy gou haar kruik op haar hand laat sak en hom laat drink. **19** Nadat sy hom laat drink het, het sy gesê: “Ek sal ook vir u kamele water skep totdat hulle genoeg gedrink het.” **20** Sy het haar kruik gou in die drinkbak leeggemaak en weer en weer na die put gehardloop om water te skep, en sy het vir al sy kamele bly water skep. **21** Die hele tyd het die man verbaas na haar gestaar sonder om 'n woord te sê terwyl hy gewonder het of Jehovah sy reis suksesvol gemaak het of nie.

22 Toe die kamele genoeg gedrink het, het die man vir haar 'n goue neusring uitgehaal wat 'n halfsikkel* geweeg het, sowel as twee goue armbande wat tien sikkels* geweeg het, **23** en hy het gesê: “Sê asseblief vir my, wie se dogter is jy? Is daar in jou pa se huis plek vir ons om te oornag?” **24** Sy het hom geantwoord: “Ek is die dogter van Be'tuel,^a die seun van Milka en Nahor.”^b **25** En sy het bygevoeg: “Ons het strooi sowel as baie voer en ook plek om te oornag.” **26** Toe het die man op sy knieë gegaan en voor Jehovah neergebuig **27** en gesê: “Mag Jehovah geloof word, die God van my meester Abraham, want hy het nie opgehou om sy lojale liefde en sy getrouheid aan my meester te betoon nie. Jehovah het my na die huis van die broers van my meester gelei.”

24:22 *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

28 Die jong vrou het na haar ma se huis gehardloop om hulle te vertel wat gebeur het. **29** Rebekka het 'n broer gehad wie se naam Laban^a was. Toe het Laban na die man toe gehardloop wat buite by die fontein was. **30** Toe hy die neusring sien, sowel as die armbande aan sy suster se arms, en toe hy Rebekka hoor vertel wat die man vir haar gesê het, het hy na die man toe gegaan, wat nog by die kamele by die fontein gestaan het. **31** Hy het dadelik gesê: “Kom, o geseënde van Jehovah. Hoekom bly jy hier buite staan? Ek het die huis gereedgemaak, sowel as 'n plek vir die kamele.” **32** Toe het die man in die huis ingekom, en hy* het die kamele afgesaal en vir die kamele strooi en voer gegee. Hy het ook vir hom water gegee om sy voete en die voete van die manne by hom te was. **33** Maar toe daar vir hom iets gegee is om te eet, het hy gesê: “Ek sal nie eet voordat ek gesê het wat ek moet sê nie.” Toe het Laban gesê: “Praat maar.”

34 Toe het hy gesê: “Ek is Abraham se kneg.^b **35** Jehovah het my meester baie geseën, en hy het hom baie ryk gemaak deur vir hom skape en beeste, silwer en goud, diensknegte en diensmeisies en kamele en donkies te gee.^c **36** Verder het Sara, die vrou van my meester, vir my meester 'n seun gegee nadat sy oud geword het,^d en my meester sal vir hom alles gee wat hy het.^e **37** En my meester het my laat sweer en gesê: ‘Jy moenie vir my seun 'n vrou neem uit die dogters van die Kanaäniete, in wie se land ek woon nie.’^f **38** Nee, jy moet na die huis van my pa en na my familie^g gaan,

HFST. 24
 a Ge 25:20
 Ge 29:10
 b Ge 15:2, 3
 c Ge 12:15, 16
 Ge 13:2
 Ge 24:1
 d Ge 21:1, 2
 Ro 4:19
 Heb 11:11
 e Ge 25:5
 f Ge 24:2, 3
 Ge 28:1
 g Ge 22:20-23
 Tweede kol.
 a Ge 24:4
 b Ge 24:5
 c Ge 48:15
 d Heb 1:7, 14
 e Ge 11:25
 f Ge 24:9
 g Ge 24:16
 h Ge 24:14
 i Ge 24:15, 17
 j Ge 24:18
 k Ge 24:22, 23

en jy moet daar 'n vrou vir my seun neem.’^a **39** Maar ek het vir my meester gesê: ‘Sê nou die vrou wil nie saam met my kom nie?’^b **40** Hy het vir my gesê: ‘Ek het Jehovah getrou gedien,^c en hy sal sy engel saam met jou stuur^d en jou reis beslis suksesvol maak, en jy moet vir my seun 'n vrou neem uit my familie en uit die huis van my pa.’^e **41** Jy sal vry wees van jou eed teenoor my as jy by my familie kom en hulle haar nie vir jou wil gee nie. Dit sal jou vrystel van jou eed.’^f

42 “Toe ek vandag by die fontein kom, het ek gesê: ‘Jehovah, die God van my meester Abraham, as u my reis suksesvol wil maak, **43** moet die volgende gebeur: As 'n jong vrou^g uitkom om water te skep terwyl ek hier by die fontein staan, sal ek vir haar sê: “Laat my asseblief 'n bietjie water uit jou kruik drink.” **44** As sy vir my sê: “Drink, en ek sal ook water vir u kamele skep,” laat sy dan die vrou wees wat Jehovah vir die seun van my meester gekies het.”^h

45 “Terwyl ek nog in my hart gebid het, het Rebekka daar aangekom met haar kruik op haar skouer, en sy het na die fontein afgegaan en water begin skep. Toe het ek vir haar gesê: ‘Gee vir my asseblief water om te drink.’ⁱ **46** Sy het dadelik haar kruik van haar skouer afgehaal en gesê: ‘Drink,^j en ek sal ook vir u kamele water gee.’ Toe het ek gedrink, en sy het ook vir die kamele water gegee. **47** Daarna het ek haar gevra: ‘Wie se dogter is jy?’ en toe het sy geantwoord: ‘Die dogter van Be'tuel, die seun van Nahor en Milka.’ Toe het ek die neusring aan haar neus en die armbande aan haar arms gesit.^k **48** En ek

24:32 * Waarskynlik Laban.

het voor Jehovah op my knieë gegaan en neergebuig en Jehovah, die God van my meester Abraham, geloof,^a wat my op die regte pad gelei het om die kleindogter van die broer van my meester vir sy seun te neem. **49** Sê nou vir my of julle lojale liefde en getrouheid aan my meester wil betoon of nie, sodat ek kan besluit wat ek moet doen.”^{*b}

50 Toe het Laban en Be'tuel geantwoord: “Hierdie saak kom van Jehovah. Ons het nie die reg om vir jou ja of nee te sê nie.* **51** Hier is Rebekka. Neem haar en gaan, en laat haar 'n vrou word vir die seun van jou meester, net soos Jehovah gesê het.” **52** Toe Abraham se kneg hulle woorde gehoor het, het hy dadelik na die grond toe neergebuig voor Jehovah. **53** En die kneg het begin om voorwerpe van silwer en van goud sowel as klere uit te haal en dit vir Rebekka te gee, en hy het waardevolle dinge vir haar broer en vir haar ma gegee. **54** Daarna het hy en die manne wat by hom was, geëet en gedrink, en hulle het daar oornag.

Toe hy in die oggend opgestaan het, het hy gesê: “Stuur my weg na my meester toe.” **55** Haar broer en haar ma het toe gesê: “Laat die jong vrou ten minste tien dae by ons bly. Daarna kan sy gaan.” **56** Maar hy het vir hulle gesê: “Moet my nie ophou nie, aangesien Jehovah my reis suksesvol gemaak het. Stuur my weg, sodat ek na my meester toe kan gaan.” **57** Toe het hulle gesê: “Laat ons die jong vrou roep en haar vra.”

24:49 *Lett. “sodat ek na die regterkant of na die linkerkant kan draai”.

24:50 *Of “Ons kan nie vir jou iets goeds of iets slegs sê nie”.

HFST. 24
a Ge 24:27

b Ge 24:8

Tweede kol.

a Ge 28:5

b Ge 35:8

c Ge 22:15, 17

d Ge 16:14
Ge 25:11

e Ge 12:9
Ge 20:1
Nu 13:22
Rig 1:9

f Ps 77:12
Ps 143:5

g Heb 11:9

h Ge 26:8

58 Hulle het vir Rebekka geroep en haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man gaan?” Sy het geantwoord: “Ek is bereid om te gaan.”

59 Toe het hulle hulle suster Rebekka^a en haar oppasser^{*b} en Abraham se kneg en sy manne weggestuur. **60** En hulle het Rebekka geseën en vir haar gesê: “Ons suster, mag jy duisende maal tienduizend word, en mag jou nageslag^{*c} die stede[#] van hulle vyande in besit neem.”^c **61** Toe het Rebekka en haar diensmeisies opgestaan, op die kamele geklim en die man gevolg. Die kneg het Rebekka dus geneem en vertrek.

62 En Isak het van die rigting van Beër-Lahai-Roi^d gekom, want hy het in die land van die Negeb gewoon.^e **63** Terwyl dit aand geword het, het Isak buite in die veld geloop om te peins.^f Toe hy opkyk, het hy kamele sien aankom! **64** Toe Rebekka opkyk, het sy Isak gesien, en sy het vinnig van die kameel afgeklim. **65** Toe het sy die kneg gevra: “Wie is daardie man in die veld wat na ons toe loop?” Die kneg het gesê: “Dit is my meester.” Sy het dus haar sluier geneem om haarself te bedek. **66** Die kneg het vir Isak vertel wat hy alles gedoen het. **67** Daarna het Isak haar in die tent van sy ma, Sara,^g ingebring. So het hy Rebekka geneem as sy vrou, en hy het haar liefgekry,^h en Isak het vertroosting gevind ná die verlies van sy ma.ⁱ

25 Abraham het weer 'n vrou geneem, en haar naam was Ketu'ra. **2** Met verloop van tyd het sy geboorte gegee

24:59 *Die vrou wat vroeër haar oppasser was en nou een van haar diensmeisies was. **24:60** *Lett. “saad”.[#] Lett. “poort”.

i Ge 23:2, 19

aan Simran, Joksan, Medan, Mi'dian,^a Jisbak en Suag.^b

3 Joksan het die vader van Skeba en Dedan geword.

Die seuns van Dedan was As'surim, Le'tusim en Le'ümim.

4 Die seuns van Mi'dian was Efa, Efer, Hanog, Abi'da en El'daä.

Hulle almal was die seuns van Ketu'ra.

5 Later het Abraham alles wat hy gehad het, aan Isak gegee,^c **6** maar Abraham het geskenke gegee aan die seuns wat hy by sy byvrouens gehad het. Toe, terwyl hy nog gelewe het, het hy hulle ooswaarts gestuur, weg van sy seun Isak af,^d na die land van die Ooste. **7** Abraham het 175 jaar oud geword. **8** Toe het Abraham sy laaste asem uitgeblaas en op 'n goeie ouderdom gesterf, oud en tevrede, en hy is tot sy volk versamel.* **9** Sy seuns Isak en Is'mael het hom begrawe in die grot van Magpe'la, in die veld wat aan Efron, die seun van Sohar, die Hetiet, behoort het en wat voor Mamre is.^e

10 Dit is die veld wat Abraham by die seuns van Het gekoop het. Daar is Abraham saam met sy vrou Sara begrawe.^f **11** Ná Abraham se dood het God aangehou om sy seun Isak te seën,^g en Isak het naby Beër-Lahai-Roi^h gewoon.

12 Dit is die geskiedenis van Is'mael,ⁱ die seun wat Abraham gehad het by Sara se diensmeisie Hagar,^j die Egiptiese vrou:

13 Dit is die name van Is'mael se seuns, sy nakomelinge: Ne'bajot,^k die eersgeborene van Is'mael, dan Kedar,^l Ad'beël, Mibsam,^m **14** Misma, Duma, Massa, **15** Hadad, Tema, Je-

25:8, **17** *'n Poëtiese uitdrukking wat na die dood verwys.

HFST. 25

a Ge 37:28
Eks 2:15
Nu 31:2
Rig 6:2

b 1Kr 1:32, 33

c Ge 24:36

d Ge 21:14

e Ge 23:8, 9
Ge 49:29, 30

f Ge 23:2, 19

g Ge 17:19
Ge 26:12-14

h Ge 16:14

i Ge 16:10, 11

j Ga 4:24

k Ge 36:2, 3
Jes 60:7

l Ps 120:5
Jer 49:28
Ese 27:21

m 1Kr 1:29-31

Tweede kol.

a Ge 17:20

b 1Sa 15:7

c Ge 16:7, 8

d Ge 16:11, 12

e Ge 22:2
Mt 1:1, 2

f Ge 22:23

g Ro 9:10

h Ps 139:15

i Ge 36:31
Nu 20:14

j Ge 27:29, 30
De 2:4

k 2Sa 8:14
Mal 1:2, 3
Ro 9:10-13

tur, Nafis en Kedma. **16** Dit is die seuns van Is'mael en die 12 hoofmanne van hulle familie-groepe, en dit is hulle name volgens hulle woonplekke en volgens hulle kampe.*^a **17** Is'mael het 137 jaar oud geword. Toe het hy sy laaste asem uitgeblaas en gesterf, en hy is tot sy volk versamel.* **18** En die gebied waar sy nakomelinge gaan woon het, het gestrek van Ha'wila^b af, naby Sur,^c wat naby Egipte is, tot by Assi'rië. Hy het naby al sy broers gaan woon.*^d

19 En dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham:^e

Abraham het die vader van Isak geword. **20** Isak was 40 jaar oud toe hy getrou het met Rebekka. Sy was die dogter van Be'tuel,^f die Arameër van Paddan-Aram, en die suster van Laban, die Arameër. **21** Isak het smeekgebiede tot Jehovah gedoen vir sy vrou, want sy was onvrugbaar. Jehovah het op sy smeking gereageer, en Rebekka, sy vrou, het swanger geword. **22** En die seuns binne-in haar het met mekaar begin baklei.^g Daarom het sy gesê: "As dit so gaan, hoekom moet ek bly lewe?" Toe het sy Jehovah hieroor gevra. **23** En Jehovah het vir haar gesê: "Twee nasies is in jou baarmoeder,^h en twee volke sal uit jou voortkom en geskei word.ⁱ Die een nasie sal sterker wees as die ander,^j en die oudste sal die jongste dien."^k

24 Toe die tyd aangebreek het vir haar om geboorte te gee, was daar wel 'n tweeling in haar baarmoeder. **25** Toe het die eerste uitgekom, en hy was heeltemaal rooi, met soveel hare dat dit gelyk het asof hy 'n ha-

25:16 *Of "ommuurde kampe". 25:18 *Of moontlik "Hy het in vyandskap met al sy broers gelewe".

rige klee aangehad het.^a Daarom het hulle hom Esau*^b genoem. **26** Daarna het sy broer uitgekome met sy hand om Esau se hakskeem.^c Daarom het Isak hom Jakob*^d genoem. Isak was 60 jaar oud toe sy aan hulle geboorte gegee het.

27 Toe die seuns groter geword het, het Esau 'n uitstekende jagter geword,^e 'n man van die veld, maar Jakob het 'n rustige geaardheid gehad* en het in tente gewoon.^f **28** Isak was liewer vir Esau, want hy het vir hom wildsvleis gebring, terwyl Rebekka liewer was vir Jakob.^g **29** Eenkeer was Jakob besig om 'n bredie te kook toe Esau van die veld teruggekome het en baie moeg was. **30** Toe het Esau vir Jakob gesê: “Gee my asseblief gou van* die rooi bredie wat jy daar het,^h want ek is doodmoeg!”^a Daarom is hy Edom^g genoem.^h **31** Jakob het geantwoord: “Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my!”ⁱ **32** Esau het toe gesê: “Ek is op die punt om dood te gaan! Hoe gaan 'n geboortereg my help?” **33** Jakob het gesê: “Sweer eers vir my!” Hy het dus vir hom gesweer en sy reg as eersgeborene aan Jakob verkoop.^j **34** Toe het Jakob vir Esau brood en lensiebredie gegee. Hy het geëet en gedrink, en hy het opgestaan en weggegaan. So het Esau gewys dat hy geen waardering vir die geboortereg het nie.

26 'n Hongersnood het in die land ontstaan, net soos die eerste hongersnood in Abraham se tyd.^k Daarom het Isak

25:25 *Betenen “harig”. 25:26 *Betenen “hy wat die hakskeem gryp; bedrieër”. 25:27 *Of “Jakob was onberispelik”. 25:30 *Of “'n sluk van”. ^aLett. “die rooi, hierdie rooi”. ^bOf “dood van die honger”. ^cBetenen “rooi”.

HFST. 25

a Ge 27:11

b Ge 27:32
Ge 36:9
Mal 1:3

c Ho 12:3

d Ge 27:36

e Ge 27:3, 5

f Heb 11:9

g Ge 27:6, 7, 46

h Ge 36:1

i De 21:16, 17

j Heb 12:16

HFST. 26

k Ge 12:10

Tweede kol.

a Ge 20:1
Heb 11:8, 9

b Ge 12:7
Ge 15:18

c Ge 22:16-18
Ps 105:9-11
Heb 6:13, 14

d Ge 15:1, 5
Heb 11:12

e De 34:4

f Ge 12:1-3
Han 3:25
Ga 3:8

g Ge 17:10, 23
Ge 22:3, 12
Heb 11:8
Jak 2:21

h Ge 26:17

i Ge 12:11-13

j Ge 24:16

k Ge 24:67

l Ge 20:11

m Ge 12:18

na Abime'leg, die koning van die Filistyne, in Gerar gaan. **2** Toe het Jehovah aan hom verskyn en gesê: “Moenie na Egipte gaan nie. Woon in die land wat ek jou sal wys. **3** Woon as 'n vreemdeling in hierdie land,^a en ek sal met jou wees en jou seën, want aan jou en aan jou nageslag* sal ek al hierdie lande gee,^b en ek sal die eed nakom wat ek vir jou pa, Abraham, gesweer het:^c **4** 'Ek sal jou nageslag* vermeerder soos die sterre van die hemel,^d en ek sal aan jou nageslag* al hierdie lande gee,^e en deur middel van jou nageslag* sal al die nasies van die aarde beslis 'n seën vir hulleself verkry;^f **5** want Abraham het na my stem geluister en het aangehou om my vereistes, my gebooe, my wetsbepalings en my wette te gehoorsaam.”^g **6** Isak het dus in Gerar bly woon.^h

7 Wanneer die manne van die plek hom gevra het oor sy vrou, het hy gesê: “Sy is my suster.”ⁱ Hy was bang om te sê: “Sy is my vrou,” want hy het gesê: “Die manne van die plek sal my dalk doodmaak as gevolg van Rebekka,” want sy was baie mooi.^j **8** En toe Isak al 'n ruk daar was, het Abime'leg, die koning van die Filistyne, by die venster uitgekyk en gesien dat Isak sy vrou, Rebekka, liefkoos.*^k **9** Abime'leg het Isak onmiddellik geroep en gesê: “Sy is eintlik jou vrou! Hoe kom het jy gesê: ‘Sy is my suster’?” Isak het hom geantwoord: “Ek het dit gesê omdat ek bang was dat ek as gevolg van haar sou sterf.”^l **10** Maar Abime'leg het verder gesê: “Wat het jy aan ons gedoen?”^m Iemand kon maklik by jou vrou gaan slaap het,

26:3, 4 *Lett. “saad”. 26:8 *Of “omhels”.

en dan sou jy skuld oor ons gebring het!"^a **11** Toe het Abime'leg die hele volk hierdie bevel gegee: "Enigiemand wat aan hierdie man en sy vrou raak, sal beslis doodgemaak word!"

12 En Isak het saad in daardie land begin saai, en daardie jaar het hy 100 keer soveel geoes as wat hy gesaai het, want Jehovah het hom gesaai.^b **13** Die man het ryk geword, en sy rykdom het aanhou vermeerder totdat hy baie ryk was. **14** Hy het kuddes skape en troppe beeste en 'n groot groep knegte verkry,^c en die Filistyne het jaloers op hom geword.

15 Die Filistyne het dus al die putte met grond toegesluit wat die knegte van sy pa gegrawe het in die tyd van sy pa, Abraham.^d **16** Abime'leg het toe vir Isak gesê: "Trek weg uit ons omgewing, want jy het baie sterker as ons geword." **17** Isak het dus daarvandaan weggetrek en in die Gerar-vallei^e kamp opgeslaan en daar begin woon. **18** En Isak het weer die putte oopgegrawe wat in sy pa, Abraham, se tyd gegrawe is, maar wat die Filistyne ná Abraham se dood toegesluit het.^f Hy het die putte dieselfde name gegee wat sy pa hulle gegee het.^g

19 Terwyl Isak se knegte besig was om in die vallei* te graawe, het hulle 'n put met vars water gevind. **20** Die herders van Gerar het met Isak se herders begin stry en gesê: "Dit is ons water!" Daarom het hy die put Esek* genoem, omdat hulle met hom gestry het. **21** En hulle het 'n ander put begin graawe, en hulle het ook daarvoor be-

HFST. 26

a Ge 20:9

b Ge 24:34, 35

c Ge 12:16

d Ge 21:27, 30

e Ge 10:19

Ge 20:1

f Ge 21:25

g Ge 21:31

Tweede kol.

a Ge 17:5, 6

Ge 28:1, 3

b Ge 21:31

c Ge 17:1

Ge 28:13

d Ge 15:1

e Ge 17:19

Ps 105:9-11

f Ge 12:8, 9

g Heb 11:9

h Ge 21:32

i Ge 21:22

j Ge 21:27

gin stry. Daarom het hy dit Sitna* genoem. **22** Later het hy daarvandaan weggetrek en nog 'n put gegrawe, maar hulle het nie daaroor gestry nie. Hy het dit dus Re'hobot* genoem en gesê: "Dit is omdat Jehovah ons nou genoeg plek gegee het en ons vrugbaar gemaak het in die land."^a

23 Toe het hy daarvandaan na Berse'ba^b gegaan. **24** Daardie nag het Jehovah aan hom verskyn en gesê: "Ek is die God van jou pa, Abraham.^c Moenie bang wees nie,^d want ek is met jou, en ek sal jou saai en jou nageslag* vermeerder ter wille van my kneg Abraham."^e **25** Hy het dus 'n altaar daar gebou en die naam van Jehovah aangeroep.^f Isak het sy tent daar opgeslaan,^g en sy knegte het 'n put daar gegrawe.

26 Later het Abime'leg van Gerar af na hom toe gekom saam met Ahus'sat, sy persoonlike raadgewer, en Pikel, die hoof van sy leërmag.^h **27** Isak het vir hulle gesê: "Hoekom het julle na my toe gekom? Julle het my dan gehaat en my uit julle omgewing weggestuur."

28 Toe het hulle gesê: "Ons het duidelik gesien dat Jehovah met jou is.ⁱ Daarom het ons gesê: 'Laat ons asseblief vir mekaar 'n eed sweer, en laat ons 'n verbond met jou maak.' **29** Dat jy niks slegs aan ons sal doen nie, net soos ons niks slegs aan jou gedoen het nie, want ons het jou net goed behandel en jou in vrede weggestuur. Ons kan sien dat jy deur Jehovah geseën word."

30 Toe het hy vir hulle 'n feesmaal voorberei, en hulle het geëet en gedrink. **31** Die volgende oggend het hulle vroeg

26:17 *Of "wadi Gerar". Sien Woordeslys. 26:19 *Of "wadi". Sien Woordeslys. 26:20 *Beteken "stryery".

26:21 *Beteken "beskuldiging". 26:22 *Beteken "ruim plekke". 26:24 *Lett. "saad".

opgestaan en 'n eed vir mekaar gesweer.^a Daarna het Isak hulle weggestuur, en hulle het in vrede van hom af weggegaan.

32 Op daardie dag het Isak se knegte gekom en hom vertel van die put wat hulle gegrawe het^b en vir hom gesê: "Ons het water gevind!" **33** Hy het dit dus Siba genoem. Daarom is die naam van die stad tot vandag toe Berse'ba.^c

34 Toe Esau 40 jaar oud was, het hy Judit, die dogter van Beëri, die Hetiet, as vrou geneem, en ook Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet.^d **35** Hulle het Isak en Rebekka bitter ongelukkig gemaak.^e

27 Toe Isak oud geword het en sy oë te swak was om te sien, het hy sy oudste seun, Esau,^f na hom toe geroep en gesê: "My seun!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" **2** Isak het gesê: "Ek het oud geword. Ek weet nie hoe lank ek nog gaan lewe nie. **3** Neem dan nou asseblief jou wapens, jou pyle en jou boog, en gaan uit na die veld en jag iets vir my.^g **4** Maak dan vir my 'n lekker gereg, die soort waarvan ek hou, en bring dit vir my sodat ek dit kan eet. Daarna sal ek* jou seën voordat ek sterf."

5 Maar Rebekka het geluister terwyl Isak met sy seun Esau gepraat het. En Esau het na die veld uitgegaan om te jag en wildsvleis huis toe te bring.^h **6** Rebekka het toe vir haar seun Jakobⁱ gesê: "Ek het nou net gehoor dat jou pa vir jou broer, Esau, gesê het: **7** 'Bring vir my wildsvleis en maak vir my 'n lekker gereg. Dan sal ek eet, en daarna sal ek jou voor Jehovah seën voordat ek sterf.'ⁱ **8** My seun, luister nou mooi na

HFST. 26

a Ge 21:22-24

b Ge 26:18

c Rig 20:1

d Ge 36:2, 3

e Ge 27:46
Ge 28:8

HFST. 27

f Ge 25:28

g Ge 25:27

h Ge 27:30

i Ge 25:28

j Ge 27:30, 31

Tweede kol.

a Ge 27:13, 43

b Ge 25:25
Ge 27:23

c Ge 27:21

d Ge 27:8, 43

e Ge 25:23, 26

f Ge 25:25
Ge 27:11

g Ge 27:9

h Ge 25:31-33
Ro 9:10-12

i Ge 27:4

my en doen wat ek vir jou sê.^a **9** Gaan asseblief na die kudde en gaan haal vir my twee van die beste boklammers, sodat ek vir jou pa 'n lekker gereg met hulle kan maak, net soos hy daarvan hou. **10** Neem dit dan na jou pa toe, sodat hy dit kan eet en jou voor sy dood kan seën."

11 Jakob het vir sy ma, Rebekka, gesê: "Maar my broer, Esau, is 'n harige man,^b en my vel is glad. **12** Sê nou my pa vat aan my?^c Dan sal dit beslis lyk asof ek hom spot, en ek sal 'n vloek oor my bring in plaas van 'n seën." **13** Sy ma het vir hom gesê: "Laat die vloek wat vir jou bedoel is, op my wees, my seun. Doen net wat ek sê en gaan haal hulle vir my."^d

14 Toe het hy hulle gaan haal en na sy ma toe gebring, en sy ma het 'n lekker gereg voorberei, net soos sy pa daarvan gehou het. **15** Daarna het Rebekka haar oudste seun, Esau, se beste klere geneem, wat sy in die huis gehad het, en sy het dit vir haar jongste seun, Jakob, aangetrek.^e **16** Sy het ook die velle van die boklammers op sy hande en op die haarlose deel van sy nek gesit.^f **17** Toe het sy die heerlike gereg en die brood wat sy gemaak het, vir haar seun Jakob gegee.^g

18 Hy het na sy pa toe gaan en gesê: "Pa?" Hy het geantwoord: "Hier is ek. Wie is jy, my seun?" **19** Jakob het vir sy pa gesê: "Dis Esau, u eersgeborene.^h Ek het gedoen net soos Pa vir my gesê het. Sit asseblief regop en eet van my wildsvleis, sodat Pa my kan seën."ⁱ **20** Toe het Isak vir sy seun gevra: "Hoe het jy dit so gou gevind, my seun?" Hy het geantwoord: "Omdat Jehovah u God dit na my toe gebring

27:4 *Of "my siel".

het.” **21** Toe het Isak vir Jakob gesê: “Kom asseblief nader, my seun, sodat ek kan voel of jy werklik my seun Esau is of nie.”^a **22** Jakob het tot by sy pa, Isak, gekom, en nadat Isak aan hom gevoel het, het hy gesê: “Die stem is die stem van Jakob, maar die hande is die hande van Esau.”^b **23** Hy het hom nie herken nie omdat sy hande harig was, soos die hande van Esau, sy broer. Daarom het hy hom geseën.^c

24 Daarna het hy gevra: “Is jy werklik my seun Esau?” En hy het geantwoord: “Ek is.” **25** Toe het hy gesê: “Bring vir my van die wildsvleis, sodat ek dit kan eet, my seun, en dan sal ek jou seën.” Jakob het dit vir hom gebring, en hy het geëet, en hy het vir hom wyn gebring, en hy het gedrink. **26** Toe het sy pa, Isak, vir hom gesê: “Kom asseblief nader en soen my, my seun.”^d **27** Toe het hy nader gekom en hom gesoen, en hy kon die reuk van sy klere ruik.^e Daarna het hy hom geseën en gesê:

“Die reuk van my seun is soos die geur van die veld wat Jehovah geseën het. **28** Mag die ware God jou die dou van die hemel gee^f en die vrugbare grond van die aarde^g en ’n oorvloed van graan en nuwe wyn.^h **29** Laat volke jou dien en laat nasies laag voor jou buig. Word die meester van jou broers, en laat die seuns van jou ma laag voor jou buig.ⁱ Mag almal wat jou vervloek, vervloek wees, en mag almal wat jou seën, geseënd wees.”^j

30 Net nadat Isak Jakob geseën het en Jakob van Isak, sy pa, af weggegaan het, het sy broer, Esau, van die jag af teruggekom.^k **31** Hy het ook ’n lekker gereg voorberei en dit vir sy

- HFST. 27
- a Ge 27:11, 12
- b Ge 27:16
- c Heb 11:20
- d Ge 48:10
- e Ge 25:27
Ge 27:15
- f De 11:11
- g Nu 13:26, 27
- h Ge 27:37
De 7:13
- i Ge 25:23
- j Ge 12:1, 3
Ge 28:1, 3
Ge 31:42
Ese 25:12, 13
- k Ge 27:3

Tweede kol.

- a Ge 25:25, 31
Heb 12:16
- b Heb 12:16, 17
- c Ge 25:26
Ge 32:28
Ho 12:3
- d Ge 25:32-34
- e Ge 27:28
- f Ge 25:23
Ge 27:29
Ro 9:10, 12
- g De 33:28
- h Heb 12:16, 17

- i Jos 24:4
Heb 11:20

pa gebring, en hy het vir sy pa gesê: “Sit asseblief regop, Pa, en eet van my wildsvleis, en dan kan Pa my seën.” **32** Toe het sy pa, Isak, vir hom gevra: “Wie is jy?” En hy het gesê: “Esau, Pa se eersgebore seun.”^a **33** Isak het erg begin bewe en gesê: “Wie het dan gaan jag en wildsvleis vir my gebring? Ek het dit reeds geëet voordat jy ingekom het, en ek het hom geseën – en hy sal beslis geseënd wees!”

34 Toe Esau sy pa se woorde hoor, het hy baie hard en bitter begin uitroep en vir sy pa gesê: “Seën my, seën my ook, Pa!”^b **35** Maar hy het gesê: “Jou broer het gekom en my bedrieg sodat hy die seën kon ontvang wat vir jou bedoel was.” **36** Toe het hy gesê: “Is dit nie waarom hy Jakob* genoem word nie? Hy het my nou al twee keer bedrieg.^c Hy het al klaar my geboortereg geneem,^d en nou het hy ook my seën geneem!”^e Toe het hy bygevoeg: “Het Pa nie ’n seën vir my oor nie?” **37** Maar Isak het Esau geantwoord: “Kyk, ek het hom as meester oor jou aangestel,^f en ek het al sy broers vir hom gegee as knegte, en ek het gesê dat hy graan en nuwe wyn sal hê.^g Wat bly nog oor wat ek vir jou kan gee, my seun?”

38 Esau het vir sy pa gesê: “Het Pa net een seën om te gee? Seën my, seën my ook, Pa!” Daarna het Esau hard uitgeroep en in tranes uitgebars.^h **39** Toe het sy pa, Isak, hom geantwoord:

“Ver van die vrugbare grond van die aarde sal jou woonplek wees, en ver van die dou van die hemel daar bo.ⁱ **40** Jy sal jou swaard jou hele lewe lank moet

27:36 *Beteken “hy wat die hakskeen gryp; bedrieër”.

gebruik,^a en jy sal jou broer dien.^b Maar wanneer jy rusteloos raak, sal jy vir seker sy juk breek wat op jou nek sal wees.”^c

41 Esau het 'n vyandige gesindheid teenoor Jakob gehad as gevolg van die seën wat sy pa hom gegee het,^d en Esau het in sy hart bly sê: “Dit sal nie meer lank wees voordat daar oor my pa gerou sal word nie.”^e Daarna gaan ek Jakob, my broer, doodmaak.” **42** Toe daar vir Rebekka vertel is wat haar oudste seun, Esau, gesê het, het sy dadelik haar jongste seun, Jakob, laat roep en vir hom gesê: “Kyk! Esau, jou broer, is van plan om wraak te neem deur jou dood te maak.* **43** My seun, doen nou wat ek vir jou sê. Staan op en vlug na my broer Laban in Haran.^f **44** Gaan bly 'n ruk lank by hom totdat jou broer se woede bedaar het, **45** totdat jou broer gekalmeer het en hy vergeet het wat jy aan hom gedoen het. Dan sal ek jou daarvandaan laat roep. Hoekom moet ek julle albei op een dag verloor?”

46 Daarna het Rebekka vir Isak bly sê: “Ek haat my lewe as gevolg van die dogters van Het.^g As Jakob ooit 'n vrou neem uit die dogters van Het, soos hierdie dogters van die land, wil ek eerder net dood wees.”^h

28 Isak het Jakob dus geroep en hom geseën en hom beveel: “Jy mag nie 'n vrou uit die dogters van Kanaän neem nie.ⁱ **2** Gaan na Paddan-Aram, na die huis van Be'tuel, jou ma se pa, en neem daar vir jou 'n vrou uit die dogters van Laban,^j jou ma se broer. **3** God die Almagtige sal jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, en jy sal beslis 'n versame-

27:42 *Of “troos homself met die gedagte dat hy jou gaan doodmaak”.

HFST. 27

a Ge 32:6
Nu 20:18

b Ge 25:23
2Sa 8:14
Mal 1:2, 3

c 2Kn 8:20
2Kr 28:17

d Am 1:11

e Ge 35:28, 29

f Ge 28:5

g Ge 26:34, 35
Ge 28:8

h Ge 24:2, 3

HFST. 28

i Ge 24:34, 37
Eks 34:15, 16
1Kn 11:1-3
2Kor 6:14

j Ge 29:16

Tweede kol.

a Ge 17:5
Ge 46:15, 19
1Kr 2:1, 2

b Ge 12:2, 3

c Ge 12:7
Ge 15:13
Ge 17:1, 8
Heb 11:9

d Ge 25:20

e Ge 24:29

f Ge 28:1
2Kor 6:14

g Ge 27:43

h Ge 27:46

i Ge 36:2, 3

j Ge 11:31
Ge 27:43

k Ge 28:18, 19

l Joh 1:51
Heb 1:7, 14

ling van volke word.^a **4** En hy sal aan jou en jou nageslag* die seën van Abraham gee,^b so dat jy die land in besit kan neem waar jy tot nou toe as 'n uitlander gewoon het, die land wat God aan Abraham gegee het.”^c

5 Isak het Jakob toe weggestuur, en hy het na Paddan-Aram vertrek, na Laban, die seun van Be'tuel, die Arameër,^d die broer van Rebekka,^e die ma van Jakob en Esau.

6 Esau het gesien dat Isak Jakob geseën het en hom na Paddan-Aram weggestuur het om daar vir hom 'n vrou te neem en dat hy hom hierdie bevel gegee het toe hy hom geseën het: “Moenie 'n vrou uit die dogters van Kanaän neem nie.”^f **7** Hy het gesien dat Jakob gehoorsaam was aan sy pa en sy ma en na Paddan-Aram vertrek het.^g **8** Esau het toe besef dat Isak, sy pa, nie van die dogters van Kanaän hou nie.^h **9** Esau het dus na Is'mael toe gegaan en Ma'halat, die dogter van Abraham se seun Is'mael, die suster van Ne'bajot, as vrou geneem, bo en behalwe die ander vrouens wat hy reeds gehad het.ⁱ

10 Jakob het uit Berse'ba na Haran^j vertrek. **11** Later het hy by 'n plek gekom en gereedgemaak om daar te oornag, want die son het al ondergegaan. Hy het toe een van die klippe geneem om onder sy kop te sit, en hy het gaan lê.^k **12** Toe het hy gedroom, en in die droom het hy 'n stel trappe* gesien wat van die aarde af tot in die hemel gestrek het, en God se engele het daar op- en afgeklim.^l **13** En Jehovah het bo-aan gestaan, en hy het gesê:

28:4 *Lett. “saad”. **28:12** *Of “n leer”.

“Ek is Jehovah, die God van jou vader Abraham en die God van Isak.^a Die land waarop jy lê, gaan ek aan jou en aan jou nageslag* gee.^b **14** En jou nageslag* sal beslis soos die stof van die aarde word,^c en jy sal beslis uitbrei na die weste, na die ooste, na die noorde en na die suide, en deur middel van jou en jou nageslag* sal al die families van die aarde beslis geseën word.^d **15** Ek is met jou, en ek sal jou beskerm oral waar jy gaan, en ek sal jou na hierdie land terugbring.^e Ek sal jou nie verlaat totdat ek gedoen het wat ek jou belowe het nie.”^f

16 Toe het Jakob wakker geword en gesê: “Jehovah is waarlik op hierdie plek, en ek het dit nie geweet nie.” **17** En hy het bang geword en gesê: “Hoe ontsgewekend is hierdie plek tog! Dit kan net die huis van God wees,^g en dit is die poort van die hemel.”^h **18** Toe het Jakob die oggend vroeg opgestaan en die klip geneem wat onder sy kop was en dit as ’n pilaar opgerig en olie daarop uitgegooi.ⁱ **19** Daarom het hy die plek Bet-El* genoem, maar voorheen was die stad se naam Lus.^j

20 Jakob het toe ’n gelofte gemaak en gesê: “As God met my sal wees en my gedurende my reis sal beskerm en vir my kos* sal gee om te eet en kleure om te dra **21** en ek in vrede na die huis van my pa terugkeer, dan sal Jehovah beslis bewys het dat hy my God is. **22** En hierdie klip wat ek as ’n pilaar opgerig het, sal ’n huis van God word,^k en ek sal vir seker vir u ’n tiende gee van alles wat u my sal gee.”

28:13, 14 * Lett. “saad”. **28:14** ^f “Of ‘n seën vir hulleself verkry”. **28:19** * Beteken “huis van God”. **28:20** * Lett. “brood”.

HFST. 28

a Ge 26:24, 25

b Ge 12:7
Ge 28:4
Ps 105:9-11

c Ge 13:14, 16
1Kn 4:20

d Ge 18:18
Ge 22:15, 18

e Ge 35:6

f Ge 31:3
Nu 23:19
Jos 23:14
Heb 6:18

g Ps 47:2

h Ge 35:1

i Ge 31:13

j Ge 35:6
Jos 16:1, 2

k Ge 35:1

Tweede kol.

HFST. 29

a Ge 27:42, 43
Han 7:2

b Ge 24:29

c Ge 24:24
Ge 31:53

d Ge 46:19
Rut 4:11

29 Daarna het Jakob verder gereis na die land van die mense van die Ooste. **2** Op ’n dag het hy ’n put in die veld gesien en drie troppe skape wat langs die put lê, want hulle het die troppe gewoonlik uit daardie put water gegee. Daar was ’n groot klip oor die opening van die put. **3** Wanneer al die troppe daar bymekaar was, het die herders die klip van die opening van die put af weggerol en die kleinvee water gegee, en daarna het hulle die klip weer op sy plek oor die opening van die put gesit.

4 Jakob het vir hulle gevra: “My broers, waar kom julle vandaan?” Hulle het geantwoord: “Ons is van Haran.”^a **5** Hy het vir hulle gesê: “Ken julle Laban,^b die kleinseun van Nahor?”^c Hulle het gesê: “Ja, ons ken hom.” **6** Toe het hy vir hulle gevra: “Gaan dit goed met hom?” Hulle het geantwoord: “Dit gaan goed met hom. Hier kom sy dogter Ragel^d met die skape!” **7** Toe het hy gesê: “Dit is nou eers die middel van die dag. Dit is nie die tyd om die kuddes bymekaar te bring nie. Gee die skape water en laat hulle dan verder wei.” **8** Hulle het gesê: “Ons word eers toegelaat om die skape te laat drink wanneer al die troppe bymekaar is en hulle die klip van die opening van die put af weggerol het.”

9 Terwyl hy nog met hulle gepraat het, het Ragel met haar pa se skape daar aangekom, want sy het hulle opgepas. **10** Toe Jakob vir Ragel, die dogter van Laban, sy ma se broer, saam met die skape sien, het Jakob onmiddellik nader gegaan en die klip van die opening van die put af weggerol en Laban se skape water gegee om te drink. **11** Toe het Jakob vir

Ragel gesoen en in trane uitgebars. **12** Jakob het Ragel vertel dat hy 'n familielid* van haar pa en die seun van Rebekka is. Sy het gehardloop en haar pa gaan vertel.

13 Die oomblik toe Laban^a die nuus hoor oor Jakob, sy suster se seun, het hy gehardloop om hom te gaan ontmoet. Hy het hom omhels, hom gesoen en hom in sy huis inbring. Jakob het Laban alles vertel wat gebeur het. **14** Laban het vir hom gesê: "Jy is waarlik my vlees en bloed." Jakob het 'n volle maand by hom gebly.

15 Laban het toe vir Jakob gesê: "Al is jy familie*^b van my, hoef jy nie verniet vir my te werk nie. Sê vir my: Wat moet ek jou betaal?"^c **16** Laban het twee dogters gehad. Die naam van die oudste was Lea, en die naam van die jongste was Ragel.^d **17** Maar Lea se oë het geen glans gehad nie, terwyl Ragel 'n baie aantreklike en pragtige vrou was. **18** Jakob het verlief geraak op Ragel, en daarom het hy gesê: "Ek is bereid om sewe jaar lank vir u te werk vir u jongste dogter, Ragel."^e **19** Laban het geantwoord: "Dit is beter dat ek haar vir jou gee as vir 'n ander man. Bly hier by ons." **20** En Jakob het sewe jaar lank gewerk vir Ragel,^f maar in sy oë was dit net soos 'n paar dae as gevolg van sy liefde vir haar.

21 Toe het Jakob vir Laban gesê: "Gee my vrou vir my, want die tyd is verby, en laat my by haar slaap." **22** En Laban het al die mense van die plek laat bymekaarkom en 'n feesmaal gehou. **23** Maar gedurende die aand het hy sy dogter Lea geneem en haar na hom

HFST. 29

a Ge 24:29

b Ge 28:5

c Ge 30:27, 28
Ge 31:7

d Rut 4:11

e Ge 31:41

f Ge 30:26
Ho 12:12

Tweede kol.

a Ge 16:1, 2
Ge 30:9
Ge 46:18

b Ge 31:7, 42

c Ge 31:41

d Ge 35:22

e Ge 30:1, 3

f Ho 12:12

g Ge 46:15
Rut 4:11

h Ge 30:22

i Ge 35:22
Ge 37:22
Ge 49:3, 4
Eks 6:14
1Kr 5:1

j Ge 30:20
1Sa 1:5, 6
Lu 1:24, 25

k Ge 34:25
Ge 49:5
1Kr 4:24

toe gebring sodat hy by haar sou slaap. **24** Laban het ook sy diensmeisie Silpa vir sy dogter Lea gegee.^a **25** Die volgende oggend het Jakob gesien dat dit Lea was! Daarom het hy vir Laban gesê: "Wat het u aan my gedoen? Het ek nie vir Ragel by u gewerk nie? Hoekom het u my bedrieg?"^b **26** Laban het geantwoord: "Dit is nie ons gewoonte hier om die jonger vrou voor die eersgeborene te gee nie. **27** Vier die huweliksweek met hierdie vrou. Daarna sal hierdie ander vrou ook vir jou gegee word as jy nog sewe jaar vir my werk."^c **28** Jakob het dit gedoen en die huweliksweek met haar gevier, en daarna het hy sy dogter Ragel vir hom as vrou gegee. **29** Laban het ook sy diensmeisie Bilha^d vir sy dogter Ragel gegee.^e

30 Toe het Jakob ook seksuele omgang met Ragel gehad, en hy het Ragel meer liefgehad as Lea. En hy het nog sewe jaar vir Laban gewerk.^f **31** Toe Jehovah sien dat Lea nie geliefd was nie,* het hy dit vir haar moontlik gemaak om swanger te word,^g maar Ragel was onvrugbaar.^h **32** Lea het dus swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee en hom Ruben*ⁱ genoem, want sy het gesê: "Dit is omdat Jehovah gesien het hoe swaar ek kry,^j want nou sal my man my liefkry." **33** En sy het weer swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee en toe gesê: "Dit is omdat Jehovah geluister het, want ek was nie geliefd nie, en daarom het hy my ook hierdie een gegee." Toe het sy hom Simeon*^k genoem. **34** En sy het weer eens swanger geword en

29:31 *Lett. "Lea gehaat is". ^aLett. "haar baarmoeder geopen". **29:32** *Betekens "kyk, 'n seun!" **29:33** *Betekens "om te hoor".

aan 'n seun geboorte gegee en toe gesê: "Hierdie keer sal my man aan my geheg raak, want ek het vir hom drie seuns gegee." Daarom is hy Levi*^a genoem. **35** En sy het weer eens swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee en toe gesê: "Hierdie keer sal ek Jehovah loof." Sy het hom dus Juda*^b genoem. Daarna het sy 'n tyd lank nie nog kinders gehad nie.

30 Toe Ragel sien dat sy geen kinders vir Jakob gegee het nie, het sy jaloers geword op haar suster en vir Jakob begin sê: "Gee vir my kinders of anders sal ek doodgaan." **2** Jakob het kwaad geword vir Ragel en gesê: "Is ek in die plek van God, wat gekeer het dat jy kinders kry?" **3** Toe het sy gesê: "Hier is my slavin Bilha.^c Slaap by haar, sodat sy namens my kinders kan hê.* Dan kan ek deur middel van haar ook kinders hê." **4** En sy het haar diensmeisie Bilha vir hom as vrou gegee, en Jakob het seksuele omgang met haar gehad.^d **5** Bilha het swanger geword en later vir Jakob aan 'n seun geboorte gegee. **6** Toe het Ragel gesê: "God het as my regter opgetree en het ook na my stem geluister en my 'n seun gegee." Daarom het sy hom Dan*^e genoem. **7** Bilha, Ragel se diensmeisie, het weer swanger geword en later vir Jakob aan 'n tweede seun geboorte gegee. **8** Toe het Ragel gesê: "Ek het 'n stryd teen my suster gevoer,* en ek het gewen!" Daarom het sy hom Naf^f tali*^f genoem.

29:34 *Betekens "geheg; verbind". **29:35** *Betekens "gepries; voorwerp van lof". **30:3** *Lett. "op my knieë geboorte kan gee". **30:6** *Betekens "regter". **30:8** *Of "het met my suster geworstel". ^aBetekens "my worstelinge".

HFST. 29
a Ge 34:25
Ge 49:5
Eks 6:16
Nu 3:12
1Kr 6:1

b Ge 35:23
Ge 37:26
Ge 44:18
Ge 49:8
1Kr 2:3
Op 5:5

HFST. 30
c Ge 29:29

d Ge 35:22

e Ge 35:25
Ge 46:23
Ge 49:16

f Ge 35:25
Ge 46:24
Ge 49:21
De 33:23

Tweede kol.

a Ge 35:26

b Ge 49:19
Nu 32:33

c Lu 1:46, 48

d Ge 35:26
Ge 46:17
Ge 49:20
De 33:24

e Ge 29:32

f Ge 29:30

9 Toe Lea sien dat sy opgehou het om kinders te hê, het sy haar diensmeisie Silpa geneem en haar vir Jakob as vrou gegee.^a **10** En Lea se diensmeisie Silpa het vir Jakob aan 'n seun geboorte gegee. **11** Toe het Lea gesê: "Wat 'n geluk!" Daarom het sy hom Gad*^b genoem. **12** Daarna het Silpa, Lea se diensmeisie, vir Jakob aan 'n tweede seun geboorte gegee. **13** Toe het Lea gesê: "Hoe bly is ek tog! Want die vrouens sal my beslis gelukkig noem."^c Daarom het sy hom Aser*^d genoem.

14 In die tyd van die koringoes het Ruben^e in die veld gaan stap en liefdesappels* gevind. Hy het dit na sy ma, Lea, gebring. Toe het Ragel vir Lea gesê: "Gee asseblief vir my van jou seun se liefdesappels." **15** Maar sy het vir haar gesê: "Is dit nie genoeg dat jy my man gevat het nie?^f Wil jy nou ook my seun se liefdesappels vat?" Toe het Ragel gesê: "Nou goed. Hy sal vanaand by jou slaap in ruil vir jou seun se liefdesappels."

16 Toe Jakob die aand van die veld af kom, het Lea na hom toe gegaan en gesê: "Jy gaan by my slaap, want ek het jou klaar met my seun se liefdesappels gehuur." Hy het dus daardie nag by haar geslaap. **17** En God het na Lea se gebed geluister en dit beantwoord, en sy het swanger geword en later vir Jakob aan 'n vyfde seun geboorte gegee. **18** Toe het Lea gesê: "God het my loon* vir my gegee omdat ek my diensmeisie vir my man gegee het." Daarom

30:11 *Betekens "'n geluk". **30:13** *Betekens "bly; blydschap; gelukkig". **30:14** *Daar is gedink dat hierdie vrugte vrouens kon help om vrugbaar te word. **30:18** *Of "'n huurling se loon".

het sy hom Is'saskar^{*a} genoem. **19** En Lea het weer swanger geword en later vir Jakob aan 'n sesde seun geboorte gegee.^b **20** Toe het Lea gesê: "God het vir my, ja vir my, 'n goeie geskenk gegee. Uiteindelik sal my man my verdra,^c want ek het vir hom aan ses seuns geboorte gegee."^d Daarom het sy hom Se'bulon^{*e} genoem. **21** Daarna het sy aan 'n dogter geboorte gegee en haar Dina^f genoem.

22 Uiteindelik het God aan Ragel gedink, en God het na haar gebed geluister en dit vir haar moontlik gemaak om swanger te word.^{*g} **23** En sy het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Toe het sy gesê: "God het my skande weg-geneem!"^h **24** Daarom het sy hom Josef^{*i} genoem en gesê: "Jehovah voeg vir my nog 'n seun by."

25 Nadat Ragel aan Josef geboorte gegee het, het Jakob onmiddellik vir Laban gesê: "Stuur my weg sodat ek na my plek en na my land kan gaan.^j **26** Gee my vrouens en my kinders, vir wie ek by u gewerk het, sodat ek kan gaan, want u weet goed hoe hard ek vir u gewerk het."^k

27 Toe het Laban vir hom gesê: "Ek smeeek jou, bly asseblief. Ek het deur middel van die tekens^{*} gesien dat Jehovah my seën as gevolg van jou." **28** En hy het bygevoeg: "Sê vir my wat ek jou moet betaal, en ek sal dit gee."^l **29** Toe het Jakob vir hom gesê: "U weet hoe hard ek vir u gewerk het en hoe goed dit met u kudde gaan vandat hulle in my

HFST. 30

a Ge 35:23
Ge 46:13
Ge 49:14
De 33:18

b Rut 4:11

c Ge 29:32

d Ge 35:23
Ge 46:15
Ps 127:3

e Ge 46:14
Ge 49:13
De 33:18

f Ge 34:1

g Ge 29:31

h Lu 1:24, 25

i Ge 35:24
Ge 45:4
De 33:13
Han 7:9

j Ge 28:15
Ge 31:13

k Ge 31:41
Ho 12:12

l Ge 31:7

Tweede kol.

a Ge 31:38

b Ge 32:9, 10

c Ho 12:12

d Ge 31:7

e Ge 31:8

sorg is.^a **30** U het min gehad voordat ek gekom het, maar u kudde het groter geword en vermeerder, en Jehovah het u gesêën vandat ek gekom het. Wanneer gaan ek dan iets vir my eie huis doen?"^b

31 Toe het Laban gevra: "Wat moet ek jou gee?" Jakob het geantwoord: "U hoef my hoegenaamd niks te gee nie! As u hierdie een ding vir my sal doen, sal ek voortgaan om vir u kleinvee te sorg en hulle op te pas.^c **32** Ek sal vandag deur al u kleinvee gaan. U moet elke skaap wat gespikkeld en bont is, en elke jong skaapram wat donkerbruin is en elke bokooi wat bont en gespikkeld is, afsonder. Van nou af sal dit my betaling wees.^d **33** En u sal sien dat ek eerlik^{*} is as u op 'n dag kom om na my betaling te kyk. As u enige bokooie by my vind wat nie gespikkeld en bont is nie of enige jong skaapramme wat nie donkerbruin is nie, kan u dit as gesteelde vee beskou."

34 En Laban het gesê: "Nou maar goed! Ek aanvaar jou voorstel."^e **35** Toe het hy op daardie dag die gestrepte en bont bokramme en al die gespikkeld en bont bokooie afgesonder, almal wat wit aan hulle gehad het en al die donkerbruin jong skaapramme, en hy het hulle aan sy seuns gegee om op te pas. **36** Daarna het hy seker gemaak dat daar 'n afstand van drie dagreise tussen hom en Jakob is, en Jakob het Laban se oorblywende kleinvee opgepas.

37 Jakob het toe vars takke van storaksbome, amandelbome en plataanbome geneem, en hy het dit plek-plek geskil sodat die wit hout op daardie plekke gesien kon word. **38** Toe sit hy

30:33 *Of "regverdig".

30:18 *Betekens "hy is 'n loon".
30:20 *Betekens "verdraagsaamheid".
30:22 *Lett. "en haar baarmoeder open".
30:24 *'n Verkorte vorm van Josifia, wat "mag Jah byvoeg (vermeerder)" beteken.
30:27 *Of "voortekens; uit die bewyse".

die takke wat hy geskil het voor die kleinvee in die watervore en in die drinkbakke waar hulle altyd kom drink het, sodat hulle voor die takke op hitte sou kom wanneer hulle kom drink het.

39 Die kleinvee het toe voor die takke op hitte gekom, en die kleinvee het gestreeppte, gespikkelde en bont lammers gekry. **40** Toe het Jakob die jong skaapramme afgesonder en gesorg dat die kleinvee in die rigting kyk van die gestreeppte en die donkerbruin diere onder Laban se kleinvee. Toe het hy sy kleinvee afgesonder en hulle apart gehou van Laban se kleinvee. **41** En elke keer wanneer die sterk diere op hitte gekom het, het Jakob die takke in die watervore gesit waar die kleinvee dit kon sien, sodat hulle by die takke op hitte sou kom. **42** Maar wanneer die diere swak was, het hy nie die takke daar gesit nie. So het Laban altyd die swak diere gekry, maar Jakob het die sterk diere gekry.^a

43 En Jakob het baie ryk geword, en hy het baie kleinvee verkry, asook diensknegte en diensmeisies en kamele en donkies.^b

31 Ná verloop van tyd het hy gehoor dat die seuns van Laban sê: “Jakob het alles geneem wat aan ons pa behoort het, en hy het ons pa se besittings gebruik om al hierdie rykdom bymekaar te maak.”^c

2 Wanneer Jakob na Laban se gesig gekyk het, het hy gesien dat sy gesindheid teenoor hom nie meer dieselfde was nie.^d

3 Uiteindelik het Jehovah vir Jakob gesê: “Keer terug na die land van jou vaders en jou familielede,^e en ek sal met jou wees.”

4 Toe het Jakob 'n boodskap aan Ragel en Lea gestuur om na

HFST. 30
a Ge 31:9

b Ge 32:5
Ge 36:6, 7

HFST. 31
c Ge 30:33

d Ge 30:27

e Ge 28:15
Ge 32:9
Ge 35:27

Tweede kol.
a Ge 30:27

b Ge 48:15

c Ge 30:29, 30

d Ge 30:32

e Ge 30:39

f Ge 29:25
Ge 31:39

g Ge 12:8, 9
Ge 35:15

h Ge 28:18, 22

i Ge 35:14
Ge 37:1

j Ge 31:41
Ho 12:12

die veld te kom waar sy kleinvee was, **5** en hy het vir hulle gesê:

“Ek het gesien dat julle pa se gesindheid teenoor my verander het,^a maar die God van my pa was met my.^b **6** Julle weet goed dat ek met al my krag vir julle pa gewerk het.^c **7** En julle pa het my probeer bedrieg, en hy het my betaling tien keer verander, maar God het hom nie toegelaat om my te benadeel nie. **8** Wanneer hy gesê het: ‘Die gespikkelde lammers sal jou betaling wees,’ dan het al die kleinvee gespikkelde lammers gekry, maar wanneer hy gesê het: ‘Die gestreeppte lammers sal jou betaling wees,’ dan het al die kleinvee gestreeppte lammers gekry.^d **9** So het God julle pa se kleinvee bly wegneem en dit aan my gegee. **10** Eenkeer, toe die kleinvee op hitte gekom het, het ek opgekyk en in 'n droom gesien dat die bokramme wat met die ooie gepaar het, gestreep, gespikkeld en gevlek is.^e **11** Toe het die engel van die ware God vir my in die droom gesê: ‘Jakob!’ En ek het gesê: ‘Hier is ek.’ **12** En hy het verder gesê: ‘Kyk asseblief op en sien dat al die bokramme wat met die ooie paar, gestreep, gespikkeld en gevlek is, want ek het alles gesien wat Laban aan jou doen.’^f **13** Ek is die ware God van Bet-El,^g waar jy 'n pilaar gesalf het en waar jy 'n gelofte aan my gemaak het.^h Staan nou op, gaan uit hierdie land uit en keer terug na jou geboorteland.’”ⁱ

14 Toe het Ragel en Lea hom geantwoord: “Is daar enige erfdedeel vir ons oor in ons pa se huis? **15** Hy beskou ons mos as uitlanders, want hy het ons verkoop en is besig om die geld op te gebruik wat hy vir ons ontvang het.^j **16** Al die rykdom wat God van ons pa wegge-

neem het, behoort aan ons en aan ons kinders.^a Doen dan nou alles wat God vir jou gesê het om te doen.”^b

17 Daarna het Jakob sy kinders en sy vrouens op die kamele laat klim,^c **18** en hy het sy hele kudde geneem, sowel as al die goedere wat hy byme-kaargemaak het^d en die kleinvee wat hy in Paddan-Aram verkry het, en hy het vertrek om na sy pa, Isak, in die land Kanaän, te gaan.^e

19 Terwyl Laban sy skape gaan skeer het, het Ragel die terafim-beeldjies^{*f} gesteel wat aan haar pa behoort het.^g **20** Jakob was slim en het Laban, die Arameër, nie vertel dat hy gaan vlug nie. **21** Hy het gevlug, en hy het deur die Rivier^{*h} getrek met alles wat hy gehad het. Daarna het hy in die rigting van die bergstreek van Gi'leadⁱ gegaan. **22** Op die derde dag het Laban gehoor dat Jakob gevlug het. **23** Toe het hy sy broers* saam met hom geneem en hom agternagesit, en hy het hom ná 'n reis van sewe dae in die bergstreek van Gi'lead ingehaal. **24** En God het in die nag in 'n droom vir Laban, die Arameër,^k gesê: “Pasop wat jy vir Jakob sê.”^{*j}

25 Jakob het sy tent in die bergstreek van Gi'lead opgeslaan, en Laban en sy broers het in dieselfde gebied kamp opgeslaan. Laban het toe na Jakob gegaan **26** en vir hom gesê: “Wat het jy gedoen? Hoekom het jy my bedrieg en my dogters ontvoer soos gevangenes wat deur die swaard weggeneem is? **27** Hoekom het jy in die geheim

31:19 *Of “huisgode; afgode”. **31:21** *Die Eufraatrivier. **31:23** *Of “familielede”. **31:24** *Lett. “Let op jouself dat jy nie van goed tot sleg met Jakob praat nie”.

HFST. 31

a Ge 31:1

b Ge 31:3

c Ge 33:13

d Ge 30:42, 43

e Ge 35:27

f Ge 35:2
Jos 24:2

g Ge 31:14

h Ge 15:18

i Nu 32:1

j Ge 20:3

k Ge 25:20
Ho 12:12

l Ps 105:15

Tweede kol.

a Ge 31:24

b Ge 31:19
Ge 35:2

c Ge 46:18, 25

d Le 15:19

e Ge 31:19

gevlug en my bedrieg en my nie vertel nie? As jy my vertel het, kon ek jou met vreugde en liedere, met die tamboraeryn en die harp weggestuur het. **28** Maar jy het my nie 'n kans gegee om my kleinkinders* en my dogters te soen nie. Wat jy gedoen het, was baie dom. **29** Ek het die mag om julle kwaad aan te doen, maar die God van julle voorvader het gisteraand met my gepraat en gesê: ‘Pasop wat jy vir Jakob sê.’^a **30** Jy het weggegaan omdat jy na die huis van jou pa verlang, maar hoekom het jy dan my gode gesteel?”^b

31 Jakob het Laban geantwoord: “Dit was omdat ek bang was, want ek het vir myself gesê: ‘U sal dalk u dogters met geweld van my af wegneem.’ **32** Die persoon by wie u gode gevind word, sal nie bly lewe nie. Kyk deur my besittings hier in die teenwoordigheid van ons broers, en neem wat aan u behoort.” Maar Jakob het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie. **33** Laban het toe in Jakob se tent en in Lea se tent en in die twee slavinne^c se tent ingegaan, maar hy het dit nie gevind nie. Toe het hy uit Lea se tent uitgekom en in Ragel se tent ingegaan. **34** Intussen het Ragel die terafim-beeldjies geneem en dit weggesteek in 'n saalmandjie wat vrouens gebruik wanneer hulle op 'n kameel ry, en sy het daarop gesit. Toe het Laban die hele tent deursoek, maar hy het dit nie gevind nie. **35** Sy het toe vir haar pa gesê: “Moenie kwaad wees nie, Pa. Ek kan nie nou opstaan nie, want ek ondervind wat vrouens gereeld ondervind.”^d Toe het hy deeglik verder gesoek, maar hy het nie die terafim-beeldjies gevind nie.^e

31:28 *Lett. “seuns”.

36 Jakob het kwaad geword en Laban begin kritiseer. Hy het vir Laban gesê: “Wat het ek verkeerd gedoen, en watter sonde het ek gepleeg dat u my so agtervolg? **37** Noudat u al my goed deursoek het, wat het u gevind wat aan u huis behoort? Sit dit hier neer voor my broers en u broers, en laat hulle tussen ons twee oordeel. **38** Gedurende die 20 jaar dat ek by u was, het u skape en u bokke nooit ’n misgeboorte gehad nie,^a en ek het nooit die skaapramme van u kleinvee geëet nie. **39** Ek het nooit ’n dier na u toe gebring wat deur wilde diere verskeur is nie.^b Ek het dit altyd self vervang. Of die dier nou in die dag of in die nag gesteel is, u het vergoeding van my geëis. **40** In die dag het die hitte my verteer, en in die nag het ek baie koud gekry, en dikwels kon ek nie slaap nie.^c **41** Ek is nou al 20 jaar in u huis. Ek het u 14 jaar gedien vir u twee dogters, en 6 jaar vir u kleinvee, en u het my betaling tien keer verander.^d **42** As die God van my vader,^e die God van Abraham en die Een wat deur Isak gevrees word,^f nie aan my kant was nie, sou u my nou met leë hande weggestuur het. God het gesien hoe swaar ek gekry het en hoe hard ek gewerk het, en dit is hoekom hy u gisteraand tereggewys het.”^g

43 Toe het Laban Jakob geantwoord: “Die dogters is my dogters en die kinders is my kinders en die kleinvee is my kleinvee, en alles waarna jy kyk, is myne en my dogters s’n. Hoe kan ek hulle of hulle kinders seermaak? **44** Kom dan nou, laat ons ’n verbond maak, ek en jy, en dit sal as ’n getuie tussen ons dien.” **45** Jakob het dus ’n

31:42 *Lett. “die Vrees van Isak”.

HFST. 31
 a Ge 30:27
 b 1Sa 17:34
 c Ge 47:9
 d Ge 31:7
 e Ge 28:13
 Ge 31:29
 f Ge 31:53
 g Ge 31:24

Tweede kol.
 a Ge 28:18
 b Ge 31:22, 23
 c Ge 31:44, 45
 d Ge 17:1, 7
 e Ge 31:42

klip geneem en dit as ’n pilaar opgerig.^a **46** Toe het Jakob vir sy broers gesê om klippe op te tel. En hulle het klippe geneem en dit op mekaar gestapel. Daarna het hulle daar op die stapel klippe geëet. **47** En Laban het dit Je’gar-Sahadu’ta* begin noem, maar Jakob het dit Gal-Ed^b genoem.

48 Laban het toe gesê: “Hierdie stapel klippe is vandag ’n getuie tussen my en jou.” Daarom is dit Gal-Ed^b genoem, **49** en ook die Wagtroning, want Laban het gesê: “Mag Jehovah wag hou tussen my en jou wanneer ons mekaar nie kan sien nie. **50** As jy my dogters sleg behandel en jy buiten my dogters nog vrouens begin neem, moet jy ont hou dat God ’n getuie tussen my en jou is, al is daar niemand by ons nie.” **51** Laban het verder vir Jakob gesê: “Hier is die stapel klippe, en hier is die pilaar wat ek tussen my en jou opgerig het. **52** Hierdie stapel klippe is ’n getuie, en die pilaar is iets wat getuig^c dat ek nie verby hierdie stapel klippe sal gaan om iets slegs aan jou te doen nie en dat jy nie verby hierdie stapel klippe en hierdie pilaar sal gaan om iets slegs aan my te doen nie. **53** Mag die God van Abraham^d en die God van Nabor, die God van hulle pa, tussen ons oordeel.” En Jakob het gesweer by die Een wat deur sy pa, Isak, gevrees word.^e

54 Daarna het Jakob ’n offerande op die berg gebring en sy broers genooi om iets* te eet. Hulle het dus geëet en die nag op die berg deurge-

31:47 *’n Aramese uitdrukking wat “getuienishoop” beteken. ^a’n Hebreuse uitdrukking wat “getuienis-stapel” beteken. 31:53 *Lett. “by die Vrees van sy pa, Isak”. 31:54 *Lett. “brood”.

bring. **55** Maar Laban het die oggend vroeg opgestaan en sy kleinkinders^a en sy dogters gesoen en hulle geseën.^b Toe het Laban vertrek en teruggegaan huis toe.^c

32 Jakob het toe vertrek, en die engele van God het hom ontmoet. **2** Toe hy hulle sien, het Jakob gesê: “Dit is die kamp van God!” Hy het die plek dus Mahana'im* genoem.

3 Toe het Jakob boodskappers voor hom uit gestuur na sy broer, Esau, in die land Seir,^d die gebied van Edom,^e **4** en hy het hulle hierdie opdrag gegee: “Dit is wat julle vir my heer, vir Esau, moet sê: ‘U kneg Jakob het gesê: “Ek het lank by Laban gewoon,* tot nou toe.’ **5** Ek het bulle, donkies, skaape en diensknegte en diensmeisies verkry,^g en ek stuur hierdie boodskap om my heer hiervan te laat weet, sodat ek u goedkeuring kan kry.””

6 Later het die boodskappers na Jakob teruggekeer en gesê: “Ons was by u broer, Esau, en hy is nou op pad na u toe, en daar is 400 manne by hom.”^h

7 Jakob het toe baie bang en angstig geword.ⁱ Hy het dus die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee, die beeste en die kamele in twee kampe verdeel.

8 Hy het gesê: “As Esau die een kamp aanval, sal die ander kamp kan wegkom.”

9 Daarna het Jakob gesê: “O God van my voorvader Abraham en God van my pa, Isak, o Jehovah, u wat vir my sê: ‘Keer terug na jou land en jou familielede en ek sal goed wees vir jou,’^j **10** ek verdien nie al die lojale liefde wat u aan u kneg

31:55 *Lett. “seuns”. 32:2 *Beteken “twee kampe”. 32:4 *Of “as ’n uitlander gewoon”.

HFST. 31

a Ge 31:28

b Ge 24:59, 60

c Ge 27:43

Ge 28:2

HFST. 32

d Ge 27:39

Ge 36:8

De 2:5

Jos 24:4

e Ge 25:30

f Ge 31:41

g Ge 30:43

Ge 33:11

h Ge 33:1, 2

i Ge 27:41

Ge 32:11

j Ge 31:3, 13

Tweede kol.

a Ge 28:15

Ps 100:5

b Ge 28:10

Ge 30:43

Ge 32:7

c Ps 34:4

d Ge 27:41

e Ge 28:14

Ge 46:2, 3

Eks 1:7

Eks 32:13

Han 7:17

f Ge 33:10

g Ge 30:43

h Ge 33:8

i Ge 43:11

1Sa 25:18

betoon het en u getrouheid nie,^a want ek het net met my staf deur hierdie Jordaanrivier getrek, en nou het ek twee kampe geword.^b **11** Red my, ek smee u,^c uit die hand van my broer, Esau, want ek is bang dat hy sal kom en my, sowel as die ma's en hulle kinders, sal aanval.^d **12** En u het gesê: ‘Ek sal beslis goed wees vir jou, en ek sal jou nageslag* soos die sandkorrels van die see maak, wat te veel is om te tel.’”^e

13 En hy het daar oornag. Toe het hy van sy besittings geneem om dit as ’n geskenk vir sy broer, Esau, te gee:^f **14** 200 bokooie, 20 bokramme, 200 skaapooie, 20 skaapramme, **15** 30 kamele met hulle kalfies, 40 koeie, 10 bulle, 20 donkiermerries en 10 volgroeide donkieringste.^g

16 Hy het hulle aan sy knegte oorgegee, die een trop na die ander, en hy het vir sy knegte gesê: “Gaan voor my uit na die oorkant en maak seker dat daar ’n afstand tussen die troppe is.”

17 Hy het ook vir die eerste een gesê: “As my broer, Esau, jou teëkom en jou vra: ‘Aan wie behoort jy, en waarheen gaan jy en aan wie behoort die diere hier voor jou?’ **18** dan moet jy sê: ‘Aan u kneg Jakob. Dit is ’n geskenk wat vir my heer, vir Esau, gestuur word.’^h En Jakob self kom ook agter ons aan.”

19 En hy het ook vir die tweede, die derde en almal wat die troppe gevolg het, gesê: “Julle moet dieselfde vir Esau sê wanneer julle hom teëkom. **20** En julle moet ook sê: ‘U kneg Jakob is agter ons.’” Want hy het vir homself gesê: “As ek sy woe-de laat bedaar deur ’n geskenk vooruit te stuur,ⁱ dan sal hy

32:12 *Lett. “saad”.

my dalk vriendelik ontvang wanneer ek hom sien." **21** Toe is die geskenk voor hom uit gestuur, maar hy het die nag in die kamp deurgebring.

22 Later daardie nag het hy opgestaan en sy twee vrouens^a en sy twee diensmeisies^b en sy 11 jong seuns geneem en deur die drif van die Jabbok-stroom^c gegaan. **23** So het hy hulle na die ander kant van die stroom* gebring, saam met alles wat hy nog by hom gehad het.

24 Uiteindelik het Jakob alleen agtergebly. Toe het 'n man met hom begin stoei* tot dagbreek toe.^d **25** Toe die man sien dat hy nie die oorhand oor Jakob gaan kry nie, het hy aan die potjie van Jakob se heup geraak, en die potjie van sy heup het uit lid geraak terwyl hy met hom gestoei* het.^e **26** Daarna het die man gesê: "Laat my gaan, want dit word al dag." Maar Jakob het gesê: "Ek sal u nie laat gaan tensy u my seën nie."^f **27** Toe het die man hom gevra: "Wat is jou naam?" En hy het gesê: "Jakob." **28** Daarna het hy gesê: "Jou naam sal nie meer Jakob wees nie, maar Israel,^g want jy het met God en mense 'n stryd gevoer,^h en jy het uiteindelik die oorhand gekry." **29** Jakob het gevra: "Sê asseblief vir my wat u naam is." Maar hy het gesê: "Hoekom vra jy my naam?"ⁱ Toe het hy hom daar geseën. **30** Jakob het die plek Pniël*^j genoem, want hy het gesê: "Ek het God van aangesig tot aangesig gesien, en tog is my lewe gespaar."^k

32:23 *Of "wadi". Sien Woordelys. **32:24** *Of "worstel". **32:25** *Of "ge-worstel". **32:28** *Beteken "iemand wat 'n stryd voer, of volhard, met God" of "God voer 'n stryd". **32:30** *Beteken "aangesig van God".

HFST. 32

a Ge 29:30
Rut 4:11

b Ge 30:3, 9

c De 3:16
Jos 12:2
Rig 11:13

d Ho 12:3

e Ge 32:31, 32

f Ho 12:4

g Ge 35:10

h Ho 12:3

i Rig 13:17, 18

j 1Kn 12:25

k Ge 16:7, 13
Rig 6:22
Joh 1:18

Tweede kol.

a Ge 32:25

HFST. 33

b Ge 32:6

c Ge 32:22

d Ge 30:7, 12

e Ge 30:19

f Ge 30:22-24

g Ge 32:22
Ps 127:3

h Ge 33:2

i Ge 32:16

j Ge 32:4, 5

k Ge 36:6, 7

31 En die son het opgekom net toe hy by Pnuel* verbygaan, maar hy het mank geloop as gevolg van sy heup.^a **32** Daarom eet die kinders van Israel tot vandag toe nie die sening* aan die potjie van die heup nie, omdat die man aan die potjie van Jakob se heup geraak het by die sening.

33 Toe Jakob opkyk, het hy Esau sien aankom, en daar was 400 manne by hom.^b Daarom het hy die kinders tussen Lea, Ragel en die twee diensmeisies verdeel.^c **2** Hy het die diensmeisies en hulle kinders voor gesit,^d Lea en haar kinders agter hulle^e en Ragel^f en Josef heel agter. **3** Daarna het hy voor hulle uit gegaan en sewe keer na die grond toe neergebuig terwyl hy nader aan sy broer gekom het.

4 Maar Esau het na hom toe gehardloop en hom omhels en hom gesoen, en hulle het in tranes uitgebars. **5** Toe Esau die vrouens en die kinders sien, het hy gevra: "Wie is die mense by jou?" En Jakob het gesê: "Die kinders met wie God u kneg geseën het."^g **6** Toe het die diensmeisies saam met hulle kinders vorentoe gekom en neergebuig, **7** en Lea het ook saam met haar kinders vorentoe gekom en neergebuig. Daarna het Josef saam met Ragel vorentoe gekom, en hulle het neergebuig.^h

8 Esau het gevra: "Wat is die doel van hierdie hele groep reisigers wat ek teëgekome het?"ⁱ Hy het geantwoord: "Om my heer se goedkeuring te kry."^j **9** Toe het Esau gesê: "Ek het baie besittings, my broer.^k Hou wat joune is." **10** Maar Jakob

32:31 *Of "Pniël". **32:32** *Lett. "die sening van die dysenuwee".

het gesê: “Nee, asseblief! As ek u goedkeuring het, aanvaar my geskenk, want ek het dit saamgebring omdat ek u wou sien. Toe ek u sien en u my met ope arms ontvang het,^a was dit asof ek God gesien het. **11** Aanvaar asseblief hierdie seën, hierdie geskenk wat na u toe gebring is,^b want God was baie goed vir my, en ek het alles wat ek nodig het.”^c En hy het so by hom aangedring dat hy dit uiteindelik geneem het.

12 Later het Esau gesê: “Laat ons verder gaan, en laat ek voor jou uit gaan.” **13** Maar hy het vir hom gesê: “My heer, u weet goed dat die kinders nog jonk is^d en dat daar skape en beeste onder my sorg is met kleintjies wat nog aan hulle drink. As hulle net vir een dag te vinnig aangedryf word, sal die hele kudde doodgaan. **14** Laat my heer asseblief voor sy kneg uit gaan, maar ek sal teen ’n stadiger pas verder reis, volgens die pas van my vee en van die kinders, totdat ek by my heer in Seir aankom.”^e **15** Toe het Esau gesê: “Laat my asseblief van my mense by jou los.” Maar hy het gesê: “Dit is regtig nie nodig nie. Ek wil net my heer se goedkeuring hê.” **16** Esau het op daardie dag vertrek om na Seir terug te gaan.

17 Jakob het na Sukkot^f gereis, en hy het vir hom ’n huis gebou en skuilings vir sy diere gemaak. Daarom het hy die plek Sukkot* genoem.

18 Nadat Jakob van Paddan-Aram^g af gereis het, het hy veilig by die stad Sigem,^h in die land Kanaän,ⁱ aangekom, en hy het sy kamp naby die stad opgeslaan. **19** Toe het hy ’n stuk van die veld waar hy sy tent opgeslaan het, vir 100 geldstukke

HFST. 33

a Ge 32:11, 20

b Ge 32:13-15

c Ge 30:43

d Ge 31:17

e Ge 32:3

f Jos 13:24, 27
1Kn 7:46

g Ge 25:20
Ge 28:6

h Jos 24:1

i Ge 10:19
Ge 12:6

Tweede kol.

a Jos 24:32
Han 7:15, 16

b Ge 35:1, 7

HFST. 34

c Ge 30:19, 21
Ge 46:15

d Ge 26:34, 35
Ge 27:46

e De 7:1
1Kr 1:13-15

f Ge 33:18, 19

g 2Sa 13:22

h Heb 13:4

i Ge 24:2, 3

gekoop by die seuns van Hemor, die pa van Sigem.^a **20** Daar het hy ’n altaar opgerig en dit genoem: God is die God van Israel.^b

34 Dina, Jakob se dogter wat hy by Lea gehad het,^c het die gewoonte gehad om by die jong vroue van die land te kuier.^d **2** Toe Sigem, die seun van Hemor, die Hewiet,^e ’n hoofman van die land, haar gesien het, het hy haar gegryp en haar verkrag. **3** En hy het baie geheg geraak aan Dina, die dogter van Jakob, en hy het verlief geraak op die jong vrou en het met sy woorde haar hart probeer wen. **4** Uiteindelik het Sigem vir Hemor,^f sy pa, gesê: “Kry vir my hierdie jong vrou sodat ek met haar kan trou.”

5 Toe Jakob hoor dat hy sy dogter Dina oenteer het, was sy seuns by sy kudde in die veld. Jakob het dus niks gese totdat hulle teruggekom het nie. **6** Later het Hemor, Sigem se pa, na Jakob toe gegaan om met hom te praat. **7** Maar die seuns van Jakob het daarvan gehoor en dadelik van die veld af teruggekeer. Hulle was ontsteld en baie kwaad, want hy het Israel oenteer deur seksuele omgang met Jakob se dogter te hê,^g iets wat glad nie gedoen mag word nie.^h

8 Hemor het met hulle gepraat en gesê: “My seun Sigem wil julle dogter baie graag hê.* Gee haar asseblief vir hom as sy vrou **9** en laat daar huweliksverbintenisse tussen ons wees. Gee vir ons julle dogters, en neem ons dogters vir julle.’ **10** Julle mag by ons woon, en die land sal vir julle beskikbaar wees. Woon en dryf handel in die land en vestig julle hier.”

34:8 *Of “is geheg aan julle dogter”.

33:17 *Betekens “hutte; skuilings”.

11 Toe het Sigem vir Dina se pa en haar broers gesê: “Gee vir my asseblief waarvoor ek vra, en ek sal vir julle gee wat julle ook al van my vra. **12** Vra my gerus vir ’n baie hoë bruidsprys en ’n baie duur geskenk.^a Ek is bereid om vir julle enigiets te gee wat julle van my vra. Gee my net die jong vrou sodat ek met haar kan trou.”

13 Jakob se seuns het ’n bedrieglike antwoord vir Sigem en Hemor, sy pa, gegee omdat hy Dina, hulle suster, oenteer het. **14** Hulle het vir hulle gesê: “Ons kan beslis nie toelaat dat ons suster aan ’n man gegee word wat nie besny is* nie,^b want dit sal ’n skande vir ons wees. **15** Ons kan dit net op hierdie voorwaarde toelaat: Julle moet soos ons word en al die manlike persone onder julle besny.^c **16** Dan sal ons ons dogters aan julle gee, en ons sal julle dogters vir ons neem, en ons sal by julle woon en een volk word. **17** Maar as julle nie na ons luister en besny word nie, sal ons ons dogter neem en gaan.”

18 Wat hulle gesê het, het goed geklink vir Hemor^d en sy seun Sigem.^e **19** Die jong man het dadelik gedoen wat hulle gevra het,^f want hy het baie van Jakob se dogter gehou, en hy was die mees geëerde man van sy pa se hele huis.

20 Toe het Hemor en sy seun Sigem na die stadspoort gegaan en met die manne van hulle stad gepraat^g en gesê: **21** “Hierdie manne wil in vrede met ons lewe. Laat hulle in die land woon en daarin handel dryf, want die land is groot genoeg vir hulle om ook daarin te woon. Ons kan hulle dogters vir ons as vrouens neem, en ons kan ons dog-

HFST. 34

a Ge 24:53
Ho 3:2

b Ge 17:9, 12

c Ge 17:10

d Ge 33:18, 19

e Ge 34:2

f Ge 34:15

g Sag 8:16

Tweede kol.

a Ge 34:8, 9

b Ge 17:11

c Ge 46:15

d Ge 49:5-7

e Ge 34:2

f Ge 49:5

ters vir hulle gee.^a **22** Maar die manne sal net op een voorwaarde instem om by ons te woon, sodat ons een volk kan word: Elke manlike persoon onder ons moet besny word, net soos hulle besny is.^b **23** Sal hulle besittings, hulle rykdom en al hulle vee dan nie ons s’n word nie? Kom ons doen dus wat hulle vra, sodat hulle by ons kan woon.” **24** Almal wat by die stadspoort was, het na Hemor en sy seun Sigem geluister, en al die manlike persone van die stad is besny.

25 Maar op die derde dag, toe hulle nog in pyn was, het twee van Jakob se seuns, Si’meon en Levi, broers van Dina,^c hulle swaarde geneem. Hulle het in die stad ingegaan, terwyl niemand in die stad iets vermoed het nie, en het almal wat manlik is, doodgemaak.^d **26** Hulle het Hemor en sy seun Sigem met die swaard doodgemaak en toe Dina uit Siggem se huis geneem en weggegaan. **27** Nadat die mans doodgemaak is, het Jakob se ander seuns die stad gestroop omdat hulle hulle suster oenteer het.^e **28** Hulle het hulle kleinvee, hulle beeste, hulle donkies en alles in die stad en in die veld geneem. **29** Hulle het ook al hulle besittings geneem, al hulle kindertjies en hulle vrouens gevange geneem en die huise leeg gestroop.

30 Toe het Jakob vir Si’meon en Levi^f gesê: “Julle het groot moeilikheid vir my gemaak* deur te veroorsaak dat die inwoners van die land, die Kanaäniete en die Perissiete, my haat. Ek het min mense by my, en hulle sal bymekaarkom en my aanval, en ek sal vernietig word, ek en

34:30 *Of “Julle het my ’n uitgeworpen gemaak”.

34:14 * Lett. “wat ’n voorhuid het”.

my familie.” **31** Maar hulle het gesê: “Behoort enigiemand ons suster soos ’n prostituut te behandel?”

35 Daarna het God vir Jakob gesê: “Staan op, trek na Bet-El^a en woon daar, en bou daar ’n altaar vir die ware God, wat aan jou verskyn het toe jy vir jou broer, Esau, gevlug het.”^b

2 Toe het Jakob vir sy huis-houding en vir almal wat by hom was, gesê: “Raak ontslae van die vreemde gode wat julle by julle het^c en reinig julle en trek ander klere aan, **3** en laat ons na Bet-El trek. Ek sal daar ’n altaar bou vir die ware God, wat my geantwoord het op die dag toe ek in die moeilikheid was en wat met my was, waar ek ook al gegaan het.”^d **4** Toe het hulle al die vreemde gode wat hulle gehad het en die ooringe wat aan hulle ore was, vir Jakob gegee, en Jakob het dit onder die groot boom naby Sigem begrawe.*

5 Toe hulle verder gereis het, het God die mense van die stede rondom hulle so bang laat word dat hulle nie die seuns van Jakob agternagesit het nie.

6 Jakob en al die mense by hom het uiteindelik in Lus^e aangekom, dit wil sê Bet-El, in die land Kanaän. **7** Daar het hy ’n altaar gebou, en hy het die plek El-Bet-El* genoem, want die ware God het hom daar aan Jakob geopenbaar toe hy vir sy broer gevlug het.^f **8** Later het Debo’ra,^g Rebekka se oppasser, gesterf en is sy by Bet-El onder ’n eikeboom begrawe. Daarom het hy dit Allon-Ba’kut* genoem.

9 Gedurende Jakob se reis van Paddan-Aram af het God weer aan hom verskyn en hom

35:4 *Of “weggesteek”. **35:7** *Betekenen “God van Bet-El”. **35:8** *Betekenen “eikeboom van gehuil”.

HFST. 35

a Ge 28:19
Ge 31:13

b Ge 27:42-44

c Ge 31:19
De 5:7
Jos 23:7
1Kor 10:14

d Ge 28:13, 15
Ge 31:42

e Ge 28:19

f Ge 28:20-22

g Ge 24:59

Tweede kol.

a Ge 25:26
Ge 27:36

b Ge 32:28

c Ge 17:1
Eks 6:3
Op 15:3

d Ge 48:3, 4

e Ge 17:5, 6
Joh 12:13

f Ge 15:18
De 34:4

g Ge 28:18

h Ge 28:19

i Ge 30:22-24

j Ge 46:21
Ge 49:27
De 33:12

k Ge 48:7
Mt 5:2
Mt 2:6

gesêen. **10** God het vir hom gesê: “Jou naam is Jakob,^a maar jy sal nie meer Jakob genoem word nie. Jou naam sal Israel wees.” En hy het hom Israel begin noem.^b **11** God het verder vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige.^c Wees vrugbaar en word baie. Nasies en ’n versameling van nasies sal uit jou voortkom,^d en konings sal van jou afstam.^e” **12** Die land wat ek aan Abraham en aan Isak gegee het, sal ek aan jou gee, en aan jou nageslag* sal ek die land gee.”^f **13** Toe het God van hom af weggegaan, weg van die plek waar hy met hom gepraat het.

14 Jakob het toe ’n pilaar opgerig op die plek waar hy met hom gepraat het, ’n klippilaar, en hy het eers ’n drankoffer en toe olie daarop uitgegooi.^g **15** En Jakob het die plek waar God met hom gepraat het, nog steeds Bet-El^h genoem.

16 Toe het hulle van Bet-El af weggetrek. En terwyl hulle nog ’n goeie ent van Efrat af was, het Ragel geboorte begin gee, en dit was ’n baie moeilike geboorte. **17** Maar terwyl sy gesukkel het om aan die kind geboorte te gee, het die vroedvrou vir haar gesê: “Moenie bang wees nie, want jy sal ook hierdie seun hê.”ⁱ **18** In die laaste oomblikke van haar lewe* (want sy was besig om te sterf), het sy hom Ben-Oni^j genoem, maar sy pa het hom Benjamin^k genoem. **19** So het Ragel gesterf, en sy is begrawe op pad na Efrat, dit wil sê Betlehem.^k **20** Jakob het ’n pilaar op haar graf opgerig, en die pilaar staan tot vandag toe op Ragel se graf.

35:11 *Lett. “uit jou lendene kom”. **35:12** *Lett. “saad”. **35:18** *Of “Terwyl haar siel uitgegaan het”. ^aBetekenen “seun van my droefheid”. ^bBetekenen “seun van die regterhand”.

21 Daarna het Israel weggetrek en sy tent 'n ent anderkant die Eder-toring opgeslaan. **22** Terwyl Israel in daardie land gewoon het, het Ruben eenkeer by Bilha, sy pa se byvrou, geslaap, en Israel het daarvan uitgevind.^a

Jakob het 12 seuns gehad. **23** Die seuns wat Jakob by Lea gehad het, was Ruben, sy eersgeborene,^b toe Si'meon, Levi, Juda, Is'saskar en Se'bulon. **24** Die seuns wat hy by Ragel gehad het, was Josef en Benjamin. **25** Die seuns wat hy by Bilha, Ragel se diensmeisie, gehad het, was Dan en Naf'tali. **26** En die seuns wat hy by Silpa, Lea se diensmeisie, gehad het, was Gad en Aser. Dit is Jakob se seuns wat in Paddan-Aram gebore is.

27 Jakob het uiteindelik by sy pa, Isak, in Mamre aangekom,^c in Kirjat-Arba, dit wil sê He'bron. Abraham sowel as Isak het as uitlanders daar gewoon.^d **28** Isak het 180 jaar lank gelewe.^e **29** Toe het Isak sy laaste asem uitgeblaas en gesterf, en hy is tot sy volk versamel* ná 'n lang en bevredigende lewe. Sy seuns Esau en Jakob het hom begrawe.^f

36 Dit is die geskiedenis van Esau, dit wil sê Edom.^g

2 Esau het sy vrouens uit die dogters van Kanaän geneem: Ada,^h die dogter van Elon, die Hetiet;ⁱ Oholiba'ma,^j die dogter van Ana, die kleindogter van Si'beon, die Hewiet; **3** en Basmat,^k die dogter van Is'mael en die suster van Ne'bajot.^l

4 En Ada het vir Esau geboorte gegee aan E'lifas, en Basmat het geboorte gegee aan Re'huel,

HFST. 35
a Ge 49:3, 4
1Kr 5:1
b Ge 49:3
c Ge 31:17, 18
d Ge 15:13
Heb 11:9
e Ge 25:20, 26
f Ge 49:30, 31

HFST. 36
g Ge 25:30
Ese 25:12, 13
Ro 9:13
h Ge 36:10
i Ge 26:34
j Ge 36:18
k Ge 36:17
l Ge 25:13
Ge 28:9

Tweede kol.
a 1Kr 1:35
b Ge 33:9
c Ge 27:39
Ge 32:3
d Ge 14:6
De 2:5
e Ge 25:30
f De 2:12
g 1Kr 1:35
h Ge 36:34
i Ge 36:40, 42
1Kr 1:36
j Eks 17:8
Nu 13:29
Nu 24:20
De 25:19
1Sa 15:8
1Sa 30:1
k Ge 26:34
l Eks 15:15

5 en Oholiba'ma het geboorte gegee aan Jeüs, Jalam en Korag.^a

Dit is die seuns van Esau, wat in die land Kanaän gebore is. **6** Daarna het Esau met sy vrouens, sy seuns, sy dogters, al die lede van sy huishouding, sy kudde en al sy ander diere en al die rykdom wat hy in die land Kanaän bymekaargemaak het,^b na 'n ander land getrek, weg van Jakob, sy broer, af.^c **7** Hulle het soveel besittings gehad dat hulle nie bymekaar kon woon nie, en die land waar hulle gewoon het,^{*} was nie groot genoeg vir hulle kuddes nie. **8** Esau het dus in die bergstreek Seir gaan woon.^d Esau word ook Edom genoem.^e

9 Hier volg die geskiedenis van Esau, die vader van die Edomiete, in die bergstreek Seir.^f

10 Dit is die name van die seuns van Esau: E'lifas, die seun van Esau se vrou Ada; Re'huel, die seun van Esau se vrou Basmat.^g

11 Die seuns van E'lifas was Teman,^h Omar, Sefo, Gatam en Kenas.ⁱ **12** Timna het die byvrou geword van E'lifas, Esau se seun. Ná verloop van tyd het sy vir E'lifas geboorte gegee aan A'malek.^j Dit is die kleinseuns van Esau se vrou Ada.

13 Dit is die seuns van Re'huel: Nahat, Serag, Samma en Missa. Dit was die kleinseuns van Esau se vrou Basmat.^k

14 Dit was die seuns van Esau se vrou Oholiba'ma, die dogter van Ana, die kleindogter van Si'beon, aan wie sy vir Esau geboorte gegee het: Jeüs, Jalam en Korag.

15 Dit is die sjeiks* van die seuns van Esau:^l Die seuns

35:29 *'n Poëtiese uitdrukking wat na die dood verwys.

36:7 *Of "as uitlanders gewoon het".
36:15 *'n Sjeik was 'n stamhoof.

van E'lifas, Esau se eersgeborene, was sjeik Teman, sjeik Omar, sjeik Sefo, sjeik Kenas,^a **16** sjeik Korag, sjeik Gatam en sjeik A'malek. Dit is die sjeiks van E'lifas^b in die land Edom. Dit is die kleinseuns van Ada.

17 Dit is die seuns van Re'huel, Esau se seun: sjeik Nahat, sjeik Serag, sjeik Samma en sjeik Missa. Dit is die sjeiks van Re'huel in die land Edom.^c Dit is die kleinseuns van Esau se vrou Basmat.

18 Laastens is dit die seuns van Esau se vrou Oholiba'ma: sjeik Jeüs, sjeik Jalam en sjeik Korag. Dit is die sjeiks van Esau se vrou Oholiba'ma, die dogter van Ana.

19 Dit is die seuns van Esau, en dit is hulle sjeiks. Hy word ook Edom genoem.^d

20 Dit is die seuns van Se'ir, die Horiet, die inwoners van die land:^e Lotan, Sobal, Si'beon, Ana,^f **21** Dison, Eser en Disan.^g Dit is die sjeiks van die Horiete, die seuns van Se'ir, in die land Edom.

22 Die seuns van Lotan was Hori en Hemam, en Lotan se suster was Timna.^h

23 Dit is die seuns van Sobal: Alwan, Mana'hat, Ebal, Sefo en Onam.

24 Dit is die seuns van Si'beon:ⁱ Aja en Ana. Dit is die Ana wat die warmwaterbronne in die wildernis gevind het terwyl hy die donkies vir sy pa, Si'beon, opgepas het.

25 Dit is die kinders van Ana: Dison en Oholiba'ma, die dogter van Ana.

26 Dit is die seuns van Dison: Hemdan, Esban, Jitran en Keran.^j

27 Dit is die seuns van Eser: Bilhan, Sa'awan en Akan.

HFST. 36

a 1Kr 1:53, 54

b 1Kr 1:36

c Nu 20:23
1Kr 9:26

d Ge 25:30
Ge 32:3

e Ge 14:6
De 2:12, 22

f 1Kr 1:40

g 1Kr 1:38

h 1Kr 1:39

i Ge 36:2

j 1Kr 1:41

Tweede kol.

a 1Kr 1:42

b 1Kr 1:38

c Nu 20:14

d De 17:14, 15
1Sa 10:19
1Kr 1:43-50

e Ge 25:1, 2
Eks 2:15
Nu 31:2

f 1Kr 1:51-54

28 Dit is die seuns van Disan: Us en Aran.^a

29 Dit is die sjeiks van die Horiete: sjeik Lotan, sjeik Sobal, sjeik Si'beon, sjeik Ana, **30** sjeik Dison, sjeik Eser en sjeik Disan.^b Dit is die sjeiks van die Horiete volgens hulle sjeiks in die land Se'ir.

31 En dit is die konings wat in die land Edom regeer het^c voordat enige koning oor die Israeliete regeer het:^d **32** Bela, die seun van Beor, het in Edom regeer, en die naam van sy stad was Dinha'ba. **33** Toe Bela gesterf het, het Jobab, die seun van Serag, uit Bosra, in sy plek begin regeer. **34** Toe Jobab gesterf het, het Husam, uit die land van die Temaniete, in sy plek begin regeer. **35** Toe Husam gesterf het, het Hadad, die seun van Bedad, in sy plek begin regeer. Hy het die Midianiete^e in die gebied van Moab verslaan, en die naam van sy stad was Awit. **36** Toe Hadad gesterf het, het Samla, uit Mas'reka, in sy plek begin regeer. **37** Toe Samla gesterf het, het Saul, uit Re'hobot by die Rivier, in sy plek begin regeer. **38** Toe Saul gesterf het, het Baäl-Hanan, die seun van Akbor, in sy plek begin regeer. **39** Toe Baäl-Hanan, die seun van Akbor, gesterf het, het Hadar in sy plek begin regeer. Die naam van sy stad was Pahu, en die naam van sy vrou was Meheta'bel, die dogter van Matred, die dogter van Me'sahab.

40 En dit is die name van die sjeiks van Esau volgens hulle families, volgens hulle plekke, volgens hulle name: sjeik Timna, sjeik Alwa, sjeik Jetet,^f **41** sjeik Oholiba'ma, sjeik Ela, sjeik Pinon, **42** sjeik Kenas, sjeik Teman, sjeik Mibsar, **43** sjeik Mag'diël en sjeik Iram.

Dit is die sjeiks van Edom volgens hulle woonplekke in die land van hulle besitting.^a Dit is Esau, die vader van die Edomiete.^b

37 Jakob het in die land Kanaän bly woon, waar sy pa as 'n uitlander gewoon het.^c

2 Dit is die geskiedenis van Jakob:

Toe Josef^d 17 jaar oud was, het hy die kleinvee opgepas^e saam met die seuns van Bilha^f en Silpa,^g sy pa se vrouens. En Josef het vir sy pa vertel dat hulle slegte dinge doen. **3** En Israel het Josef meer lief gehad as al sy ander seuns^h omdat hy die seun van sy oudag was, en hy het vir hom 'n spesiale kleed* laat maak. **4** Toe sy broers sien dat hulle pa liever is vir hom as vir hulle, het hulle hom begin haat, en hulle kon nie op 'n mooi manier met hom praat nie.

5 Later het Josef 'n droom gehad en sy broers daarvan vertel,ⁱ en dit het hulle nog meer rede gegee om hom te haat. **6** Hy het vir hulle gesê: "Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het. **7** Ons was in die middel van die landery besig om graanbondels te bind toe my bondel regop gaan staan het en julle bondels om myne gaan staan het en daarvoor neergebuig het."^j **8** Sy broers het vir hom gesê: "Gaan jy jou nou regtig koning oor ons maak en oor ons regeer?"^k As gevolg van sy drome en wat hy gesê het, het hulle dus nog 'n rede gevind om hom te haat.

9 Daarna het hy nog 'n droom gehad, en hy het vir sy broers daarvan vertel en gesê: "Ek het nog 'n droom gehad. Hierdie keer het die son en die

HFST. 36
a De 2:5

b Ge 25:30
Ge 36:8

HFST. 37
c Ge 23:3, 4
Ge 28:1, 4
Heb 11:8, 9

d Ge 30:25
Ge 46:19

e Ge 47:3

f Ge 35:25

g Ge 35:26

h 1Kr 2:1, 2

i Ge 37:19

j Ge 42:6, 9

k Ge 45:8
Ge 49:26

Tweede kol.

a Ge 44:14
Ge 45:9

b Han 7:9

c Ge 33:18

d Ge 23:19
Ge 35:27

e Ge 37:5

f Ge 49:3

maan en 11 sterre voor my neergebuij."^a **10** Toe het hy sy pa en sy broers daarvan vertel, en sy pa het hom tereggewys en vir hom gesê: "Wat beteken hierdie droom wat jy gehad het? Gaan ek en jou ma en jou broers regtig voor jou kom neergebuij?" **11** En sy broers het jaloers geword op hom,^b maar sy pa het onthou wat hy gesê het.

12 Op 'n dag het sy broers gegaan om hulle pa se kleinvee naby Sigem^c te laat wei. **13** Later het Israel vir Josef gesê: "Jou broers pas mos die kleinvee naby Sigem op. Ek wil hê dat jy na hulle toe moet gaan." Josef het geantwoord: "Ek sal gaan!" **14** Toe het Israel vir hom gesê: "Gaan kyk asseblief of dit goed gaan met jou broers. Kyk hoe dit met die kleinvee gaan, en kom sê vir my." En hy het hom uit die valleie van He'bron^d na Sigem gestuur. **15** Later het 'n man Josef teëgekome terwyl hy in die veld geloop het. Die man het hom gevra: "Waarna soek jy?" **16** Hy het geantwoord: "Ek soek na my broers. Sê asseblief vir my waar hulle die kleinvee oppas." **17** Die man het gesê: "Hulle is hier weg, en ek het hulle hoor sê: 'Kom ons gaan na Dotan.'" Josef het toe na Dotan gegaan en sy broers daar gevind.

18 Hulle het hom van ver af gesien, en nog voordat hy by hulle aangekom het, het hulle 'n plan begin beraam om hom dood te maak. **19** Hulle het vir mekaar gesê: "Kyk! Hier kom daardie dromer.^e **20** Kom ons maak hom dood en gooi hom in een van die waterputte, en dan sê ons dat 'n wilde dier hom verslind het. Dan sal ons sien wat van sy drome word." **21** Toe Ruben^f dit hoor, het hy hom probeer red. Daarom het hy ge-

37:3 *Of "'n pragtige lang kleed".

sê: "Ons moenie sy lewe* neem nie."^a **22** Ruben het vir hulle gesê: "Moenie hom doodmaak nie.^b Gooi hom in hierdie waterput in die wildernis, maar moet hom nie seermaak nie."^c Hy wou hom red sodat hy hom na sy pa kon terugbring.

23 Die oomblik toe Josef by sy broers kom, het hulle sy kleed uitgetrek, die spesiale kleed wat hy gedra het,^d **24** en hulle het hom geneem en hom in die waterput gegooi. Die put was op daardie stadium leeg.

25 Toe het hulle gaan sit om te eet. Toe hulle opkyk, was daar 'n karavaan Ismaeliete^e wat uit Gi'lead gekom het. Hulle kamele het gom,* balsem en die bas van gombome^f vervoer, en hulle was op pad Egipte toe.

26 Juda het vir sy broers gesê: "Wat kry ons daaruit as ons ons broer doodmaak en dit geheim hou?*" **27** Kom ons verkoop hom^h aan die Ismaeliete eerder as om hom seer te maak. Hy is tog ons broer, ons vlees en bloed." Toe het hulle na hulle broer geluister. **28** En toe die Midianitieseⁱ handelaars verbykom, het hulle Josef uit die waterput uitgetrek en hom vir 20 silwerstukke aan die Ismaeliete verkoop.^j Hierdie manne het Josef Egipte toe geneem.

29 Later, toe Ruben na die waterput terugkeer en sien dat Josef nie in die waterput is nie, het hy sy klere geskeur. **30** Toe hy weer by sy broers kom, het hy uitgeroep: "Die kind is weg! Wat gaan ek nou doen?"

31 Hulle het toe Josef se kleed geneem en 'n bokram geslag en die kleed in die bloed gedruk. **32** Daarna het hulle die spesiale kleed na hulle pa gestuur en gesê: "Dit is wat

37:21 *Of "siel". 37:25 *Lett. "labdanum". 37:26 *Lett. "sy bloed bedek".

HFST. 37

a Ge 9:5
Eks 20:13

b Ge 4:8,10
Ge 42:22

c Ge 42:21

d Ge 37:3

e Ge 25:12

f Ge 43:11

g Ge 4:8,10

h Han 7:9

i Ge 25:1,2

j Ge 40:15
Ge 45:4
Ps 105:17

Tweede kol.

a Ge 37:3

b Ge 42:38
Ge 44:29
Ps 89:48
Pr 9:10
Ho 13:14
Han 2:27
Op 20:13

c Ge 39:1

d Ge 40:2,3

HFST. 38

e Ge 24:2,3
Ge 28:1

f Nu 26:19

g Jos 19:29,31

h Mt 1:3

ons gevind het. Kyk asseblief of dit Josef se kleed is of nie."^a

33 Toe het hy dit ondersoek en uitgeroep: "Dit is my seun se kleed! 'n Wilde dier moes hom verslind het! Josef is sekerlik verskeur!" **34** Jakob het toe sy klere geskeur en saklinne om sy middel gesit en baie dae oor sy seun getreur. **35** En al sy seuns en dogters het hom heeltyd probeer troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en het gesê: "Ek sal oor my seun treur totdat ek in die Graf*^b aangaan!" En sy pa het oor hom bly huil.

36 Intussen het die Midianiete Josef in Egipte verkoop aan Po'tifar, 'n hofbeampte van Farao^c en die hoof van die wagte.^d

38 Omtrent daardie tyd het Juda van sy broers af weggetrek. Hy het sy tent opgeslaan naby 'n Adullamitiese man met die naam Hira.

2 Daar het Juda die dogter van 'n sekere Kanaäniet^e met die naam Sua gesien. Toe het hy haar as vrou geneem en seksuele omgang met haar gehad, **3** en sy het swanger geword. Later het sy aan 'n seun geboorte gegee, en Juda het hom Er^f genoem. **4** Sy het weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun en hom Onan genoem. **5** Sy het weer aan 'n seun geboorte gegee en hom Sela genoem. Juda was in Agsib^g toe sy geboorte gegee het.

6 Later het Juda vir Er, sy eersgeborene, 'n vrou geneem, en haar naam was Tamar.^h

7 Maar Er, Juda se eersgeborene, was sleg in Jehovah se oë. Jehovah het hom dus doodgemaak. **8** As gevolg hiervan het Juda vir Onan gesê: "Sluit 'n swaershuwelik met jou broer se

37:35 *Of "Sjool". Sien Woordelys.

vrou. Slaap by haar en verwek 'n nageslag vir jou broer.”^a

9 Maar Onan het geweet dat die nageslag nie as syne beskou sou word nie.^b Elke keer as hy seksuele omgang met sy broer se vrou gehad het, het hy dus sy saad op die grond gestort sodat hy vir sy broer geen nageslag sou gee nie.^c **10** Wat hy gedoen het, was sleg in Jehovah se oë, en daarom het hy hom ook doodgemaak.^d **11** Toe het Juda vir Tamar, sy skoonogter, gesê: “Gaan woon as 'n weduwe in die huis van jou pa totdat my seun Sela groot is,” want hy het vir homself gesê: “Dalk sterf hy ook soos sy broers.”^e Tamar het toe in die huis van haar pa gaan bly.

12 Ná verloop van tyd het Juda se vrou, die dogter van Sua,^f gesterf. Juda het 'n tyd lank gerou, en toe het hy na sy skaapskeerders in Timna^g gegaan saam met sy vriend Hira, die Adullamiet.^h **13** Toe is daar vir Tamar gesê: “Jou skoonpa is op pad na Timna om sy skape te skeer.” **14** Sy het haar rouklere uitgetrek en haar met 'n sluier en 'n tjalie bedek en by die ingang van Ena'im gaan sit, op pad na Timna, want sy het gesien dat Sela grootgeword het, maar dat sy nie as vrou aan hom gegee is nie.ⁱ

15 Toe Juda haar sien, het hy dadelik gedink dat sy 'n prostituut is, omdat sy haar gesig bedek het. **16** Toe het hy na haar toe gegaan langs die pad en gesê: “Laat my asseblief toe om by jou te slaap,” want hy het nie geweet dat dit sy skoonogter is nie.^j Maar sy het gesê: “Wat sal jy my gee as ek jou toelaat om by my te slaap?” **17** Hy het geantwoord: “Ek sal 'n boklam uit my kudde stuur.” Maar sy het gevra: “Sal jy 'n waarborg gee

HFST. 38

a De 25:5, 6
Mt 22:24

b Rut 4:6

c De 25:7, 9

d 1Kr 2:3

e Nu 26:19

f Ge 38:2

g Jos 15:10, 12
Rig 14:1

h Ge 38:1

i De 25:5

j Ge 38:11

Tweede kol.

a Ge 41:42
1Kn 21:8

b Ge 38:1

c Le 21:9

totdat jy dit stuur?” **18** Hy het verder gesê: “Watter waarborg moet ek vir jou gee?” Toe het sy gesê: “Jou seërling^a en die toutjie waaraan dit vas is en jou staf wat in jou hand is.” Hy het dit toe vir haar gegee en seksuele omgang met haar gehad, en sy het by hom swanger geword. **19** Daarna het sy opgestaan en weggegaan en haar tjalie afgehaal en haar rouklere aange-trek.

20 Juda het toe sy vriend, die Adullamiet,^b met die boklam gestuur om die waarborg by die vrou te gaan haal, maar hy kon haar nie kry nie. **21** Hy het die manne van die plek gevra: “Waar is daardie tempelprostituut wat in Ena'im langs die pad was?” Maar hulle het gesê: “Daar was nog nooit 'n tempelprostituut hier nie.” **22** Uiteindelik het hy na Juda toe teruggekeer en gesê: “Ek kon haar nêrens kry nie, en die manne van die plek het ook gesê: ‘Daar was nog nooit 'n tempelprostituut hier nie.’” **23** Toe het Juda gesê: “Laat sy dit hou, sodat ons nie 'n bespotting van onself maak nie. In elk geval, ek het nou hierdie boklam gestuur, maar jy kon haar nêrens kry nie.”

24 Maar ongeveer drie maande later is daar vir Juda gesê: “Jou skoonogter Tamar het haar soos 'n prostituut gedra, en sy is nou swanger as gevolg van haar prostitusie.” Toe het Juda gesê: “Bring haar uit en laat sy verbrand word.”^c **25** Terwyl hulle haar uitgebring het, het sy hierdie boodskap aan haar skoonpa gestuur: “Die man aan wie hierdie goed behoort, het my swanger gemaak.” Toe het sy bygevoeg: “Ondersoek asseblief aan wie hierdie seërling, toutjie en staf

behoort.”^a **26** Toe het Juda dit ondersoek en gesê: “Sy is regverdiger as ek, omdat ek haar nie aan my seun Sela gegee het nie.”^b En daarna het hy nie weer seksuele omgang met haar gehad nie.

27 Toe die tyd aanbreek vir haar om geboorte te gee, was dit ’n tweeling. **28** Terwyl sy geboorte gegee het, het een sy hand uitgesteek, en die vroedvrou het dadelik ’n helderrooi touthie om sy hand gebind en gesê: “Hierdie een het eerste uitgekome.” **29** Maar hy het sy hand teruggetrek, en sy broer het uitgekome, en sy het uitgeroep: “Jy het omtrent ’n skeuring veroorsaak om uit te kom!” Daarom is hy Peres^c genoem. **30** Daarna het sy broer uitgekome, die een om wie se hand die helderrooi touthie gebind was, en hy is Serag^d genoem.

39 Josef is deur die Ismaeliete^e na Egipte geneem.^f ’n Egiptenaar met die naam Po’tifar,^g ’n hofbeampte van Faraon die hoof van die wagte, het hom by hulle gekoop. **2** Maar Jehovah was met Josef.^h Daarom het hy suksesvol geword en is hy oor die huis van sy meester, die Egiptenaar, aangestel. **3** Sy meester het gesien dat Jehovah met hom is en dat Jehovah alles wat hy doen, suksesvol maak.

4 Josef het sy meester se goedkeuring geniet, en hy het sy persoonlike dienaar geword. Po’tifar het hom dus oor sy huis en oor al sy besittings aangestel. **5** Van die tyd af dat hy hom oor sy huis en oor al sy besittings aangestel het, het Jehovah die huis van die Egiptenaar bly seën as gevolg van Josef. Jehovah se seën was op alles wat

38:29 *Beteken “skeuring”. Verwys moontlik na ’n perineale skeur.

HFST. 38

a Ge 38:16, 18

b Ge 38:11
De 25:5

c Ge 46:12
Rut 4:12
1Kr 2:4
Lu 3:23, 33

d Mt 1:3

HFST. 39

e Ge 17:20
Ge 37:25

f Ps 105:17
Han 7:9

g Ge 37:36

h Ro 8:31
Heb 13:6

Tweede kol.

a Ge 30:27

b Ge 2:24
Ge 20:3, 6
Ps 51:Ops, 4
Mr 10:7, 8
Heb 13:4

hy in die huis en in die veld gehad het.^a **6** Uiteindelik het hy alles wat hy gehad het, in Josef se sorg gelaat. Al wat hy moes doen, was om die kos te eet wat voor hom gesit is. En Josef het ’n fris geboude en aantreklike man geword.

7 Ná hierdie dinge het die vrou van sy meester vol begeerte na Josef begin kyk en gesê: “Kom slaap by my.” **8** Maar hy het geweier en vir sy meester se vrou gesê: “My meester bekommer hom nie oor ’n enkele ding in sy huis nie. Hy het alles wat aan hom behoort, in my sorg geplaas. **9** Daar is niemand in hierdie huis wat groter is as ek nie, en hy het niks van my teruggehou nie, behalwe u, omdat u sy vrou is. Hoe kan ek dan so ’n slegte ding doen en in werklikheid teen God sondig?”^b

10 Sy het dag ná dag met Josef gepraat, maar hy het nooit ingestem om by haar te slaap of om tyd saam met haar deur te bring nie. **11** Maar op ’n dag toe hy in die huis ingegaan het om sy werk te doen, was nie een van die knegte van die huishouding daar nie. **12** Toe het sy hom aan sy kleed gegryp en gesê: “Kom slaap by my!” Maar hy het sy kleed in haar hand agtergelaat en buitentoe gevlug. **13** Toe sy sien dat hy sy kleed in haar hand agtergelaat het en buitentoe gevlug het, **14** het sy na die manne van haar huis begin roep en vir hulle gesê: “My man het hierdie Hebreër na ons toe gebring om ’n bespotteling van ons te maak. Hy wou by my kom slaap, maar ek het so hard geskree as wat ek kon. **15** Toe hy hoor dat ek begin gil en skree, het hy sy kleed langs my gelos en buitentoe gevlug.” **16** Daarna het sy sy kleed by haar gehou totdat sy meester huis toe gekom het.

17 Toe het sy vir hom dieselfde storie vertel en gesê: “Die Hebreuse kneg wat jy na ons toe gebring het, het na my toe gekom om ’n bespotting van my te maak. 18 Maar toe ek hard begin skree het, het hy sy kleed langs my gelos en buitentoe gevlug.” 19 Toe sy meester sy vrou se beskuldigings teen sy kneg hoor, het hy woedend geword. 20 En Josef se meester het hom in die tronk laat gooi waar die gevangenes van die koning aangehou is, en hy het daar in die tronk gebly.^a

21 Maar Jehovah was met Josef en het aangehou om lojale liefde aan hom te betoon. En hy het hom die goedkeuring van die hoofbeampte van die tronk laat geniet.^b 22 Daarom het die hoofbeampte van die tronk Josef oor al die gevangenes in die tronk aangestel, en Josef het seker gemaak dat al die werk daar gedoen word.^c 23 Dit was nie vir die hoofbeampte van die tronk nodig om na enigiets om te sien wat onder Josef se toesig was nie, want Jehovah was met Josef, en Jehovah het alles wat hy gedoen het, suksesvol gemaak.^d

40 Ná hierdie dinge het die hoofskinker^e van die koning van Egipte en die hoofbaker gesondig teen hulle heer, die koning van Egipte. 2 Daarom het Farao kwaad geword vir sy twee beamptes, die hoofskinker en die hoofbaker.^f 3 En hy het hulle in die tronk van die hoof van die wagte^g gesit, waar Josef ’n gevangene was.^h 4 Toe het die hoof van die wagte Josef aangestel om na hulle om te sien,ⁱ en hulle het ’n tyd lank in die tronk gebly.

5 Die skinker en die baker van die koning van Egipte het elkeen op dieselfde nag ’n

HFST. 39
a Ps 105:17, 18

b Ge 40:2, 3
Ps 105:19
Han 7:9

c Ge 39:6

d Ge 49:22, 25
Han 7:9, 10

HFST. 40
e Ge 40:11

f Ge 40:20-22

g Ge 37:36

h Ge 39:20
Ps 105:17, 18

i Ge 39:22

Tweede kol.

a Ge 41:15, 16
Da 2:28, 45

b Ge 41:12, 13

c Ge 40:20, 21

d Ge 37:28

e Ge 39:7, 8

droom gehad terwyl hulle in die tronk was, en elke droom het sy eie betekenis gehad. 6 Die volgende oggend toe Josef inkom, het hy gesien dat hulle mismoedig is. 7 Toe het hy die beampptes van Farao wat ook gevangenes in sy meester se huis was, gevra: “Hoekom lyk julle vandag so mismoedig?” 8 Hulle het vir hom gesê: “Ons het elkeen ’n droom gehad, maar daar is niemand wat vir ons kan sê wat dit beteken nie.” Josef het vir hulle gesê: “Is dit nie net God wat kan sê wat sulke dinge beteken nie?”^a Vertel dit asseblief vir my.”

9 Die hoofskinker het sy droom vir Josef vertel en gesê: “In my droom was daar ’n wingerdstok voor my. 10 Aan die wingerdstok was daar drie takkies, en terwyl dit uitgeloop het, het bloeïsele uitgekam, en trosse ryp druiwe het daaruit gegroei. 11 En Farao se beker was in my hand, en ek het die druiwe geneem en dit in Farao se beker uitgedruk. Daarna het ek die beker vir Farao gegee.” 12 Toe het Josef vir hom gesê: “Hier is die betekenis: Die drie takkies is drie dae. 13 Oor drie dae sal Farao jou vrylaat en jou in jou amp herstel,^b en jy sal Farao se beker vir hom gee, soos jy voorheen gedoen het toe jy sy skinker was.^c 14 Maar jy moet aan my dink wanneer dit met jou goed gaan. Doen my asseblief ’n guns* en vertel Farao van my sodat ek uit hierdie plek kan kom. 15 Ek is eintlik ontvoer uit die land van die Hebreërs,^d en ek het niks hier gedoen waarvoor hulle my in die tronk* moes sit nie.”^e

16 Toe die hoofbaker hoor dat die skinker se droom iets

40:14 *Of “Betoen asseblief lojale liefde teenoor my”. 40:15 *Lett. “die reënput; die gat”.

goeds beteken, het hy vir Josef gesê: "In my droom was daar drie mandjies met witbrood op my kop. **17** In die boonste mandjie was daar allerhande gebakte eetgoed vir Faraó, en daar was voëls wat dit uit die mandjie bo-op my kop geëet het." **18** Toe het Josef geantwoord: "Hier is die betekenis: Die drie mandjies is drie dae. **19** Oor drie dae sal Faraó jou kop afkap en jou aan 'n paal hang, en die voëls sal jou vlees eet."^a

20 Op die derde dag was dit Faraó se verjaarsdag,^b en hy het 'n feesmaal vir al sy knegte voorberei, en hy het die hoofskinker sowel as die hoofbakker in die teenwoordigheid van sy knegte uitgebring. **21** Hy het die hoofskinker in sy amp herstel, en hy het weer die beker vir Faraó aangegee. **22** Maar hy het die hoofbakker gehang, net soos Josef gesê het.^c **23** Die hoofskinker het egter nie aan Josef gedink nie. Hy het van hom vergeet.^d

41 Ná twee volle jare het Faraó gedroom^e dat hy by die Nylrivier staan. **2** En hy het gesien hoe daar sewe mooi, vet koeie uit die rivier opkom, en hulle het van die Nylgras geëet.^f **3** Ná hulle het daar sewe ander koeie wat lelik en maer was, uit die Nylrivier opgekóm, en hulle het langs die vet koeie op die oewer van die Nylrivier gaan staan. **4** Toe het die lelike, maer koeie die sewe mooi, vet koeie begin opeet. Daarna het Faraó wakker geword.

5 Toe het hy weer aan die slaap geraak en 'n tweede droom gehad. Daar was sewe graanare wat aan een stingel opgekóm het, vol en goed.^g **6** En ná hulle het sewe dun graanare uitgespruit wat deur die ooste-

HFST. 40

a Ge 40:20, 22

b Mr 6:21

c Ge 40:8

d Ge 40:14

HFST. 41

e Da 2:1

f Ge 41:18-21

g Ge 41:22-24

Tweede kol.

a Ge 40:2, 3

b Ge 40:5

c Ge 39:1

d Ge 40:8

e Ge 40:21, 22

f Ps 105:20

g Ge 40:15

h Da 5:12

Han 7:9, 10

i Ge 40:8

Da 2:23, 28

wind verskroei was. **7** En die dun graanare het die sewe vol en goeie graanare begin insluk. Daarna het Faraó wakker geword en besef dat dit 'n droom was.

8 Maar in die oggend het hy onrustig geraak. Daarom het hy al die towerpriesters van Egipte en al die wyse manne van die land laat roep. Faraó het hulle van sy drome vertel, maar daar was niemand wat vir Faraó kon sê wat dit beteken nie.

9 Toe het die hoofskinker met Faraó gepraat en gesê: "Vandag bely ek my sondes. **10** Faraó was kwaad vir sy knegte. Daarom het hy my sowel as die hoofbakker in die tronk van die hoof van die wagte gesit.^a **11** Daarna het ons elkeen in dieselfde nag 'n droom gehad. Ek en hy het elkeen 'n droom gehad, en elke droom het sy eie betekenis gehad.^b **12** En daar was 'n jong Hebreuse man, 'n kneg van die hoof van die wagte,^c saam met ons. Toe ons hom daarvan vertel het,^d het hy vir ons gesê wat elke droom beteken. **13** Dit het gebeur presies soos hy vir ons gesê het. Ek is in my amp herstel, maar die ander man is gehang."^e

14 Faraó het Josef dus laat roep,^f en hulle het hom gou uit die tronk* gebring.^g Hy het geskeer en ander klere aange-trek en na Faraó toe gegaan. **15** Toe het Faraó vir Josef gesê: "Ek het 'n droom gehad, maar daar is niemand wat vir my kan sê wat dit beteken nie. En hulle vertel my as jy net hoor wat iemand gedroom het, kan jy sê wat dit beteken."^h **16** Josef het Faraó geantwoord: "My opinie is nie belangrik nie. God sal vir Faraó goeie nuus gee."ⁱ

41:14 *Lett. "die reënput; die gat".

17 Farao het verder vir Josef gesê: “In my droom het ek op die oewer van die Nylrivier gestaan. **18** Uit die Nylrivier het daar sewe mooi, vet koeie opgekome, en hulle het van die Nylgras begin eet.^a **19** En daar het sewe ander koeie ná hulle opgekome wat swak, baie lelik en maer was. Ek het nog nooit in die hele Egipte koeie gesien wat so sleg lyk nie. **20** En die maer, lelike koeie het die eerste sewe vet koeie begin opeet. **21** Maar nadat hulle opge-eet het, kon niemand sien dat hulle dit gedoen het nie, want hulle het nog net so sleg gelyk soos voorheen. Toe het ek wakker geword.

22 “Daarna het ek in my droom sewe graanare gesien wat aan een stingel opkom, vol en goed.^b **23** Ná hulle het sewe droë, dun graanare opgekome wat deur die oostewind verskroei was. **24** Toe het die dun graanare die sewe goeie graanare begin insluk. Ek het toe die towerpriesters daarvan vertel,^c maar niemand kon dit aan my verduidelik nie.”^d

25 Toe het Josef vir Farao gesê: “Die drome van Farao is een en dieselfde. Die ware God het vir Farao gesê wat Hy gaan doen.^e **26** Die sewe goeie koeie is sewe jaar. Net so is die sewe goeie graanare ook sewe jaar. Die drome is een en dieselfde. **27** Die sewe maer, lelike koeie wat ná hulle opgekome het, is sewe jaar, en die sewe leë graanare, wat deur die oostewind verskroei was, sal sewe jaar van hongersnood wees. **28** Dit is net soos ek vir Farao gesê het: Die ware God het Farao laat sien wat Hy gaan doen.

29 “Daar sal sewe jaar van groot oorvloed in die hele Egipte wees. **30** Maar daarna sal

HFST. 41
 a Ge 41:2-4
 b Ge 41:5-7
 c Ge 41:8
 Da 2:2
 d Da 2:27
 Da 4:7
 e Da 2:28
 Am 3:7
 Tweede kol.
 a Han 7:11
 b Ge 41:26, 47
 c Ge 41:48, 49
 Han 7:12
 d Ge 45:9, 11
 Ge 47:13, 19
 e Ge 39:6
 Ps 105:21
 Han 7:9, 10

daar beslis sewe jaar van hongersnood aanbreek, en al die oorvloed in Egipte sal beslis vergeet word, en die land sal baie swaarkry as gevolg van die hongersnood.^a **31** En die oorvloed wat voorheen in die land was, sal vergeet word as gevolg van die hongersnood wat sal kom, want dit sal baie erg wees. **32** Die droom is twee keer aan Farao gegee omdat die saak deeglik bevestig is deur die ware God, en die ware God sal dit binnekort uitvoer.

33 “Laat Farao dan nou na ’n man soek wat verstandig en wys is en hom oor Egipte aanstel. **34** Laat Farao optree en opsieners in die land aanstel en ’n vyfde van Egipte se opbrengs gedurende die sewe jaar van oorvloed^b insamel. **35** En laat hulle al die kos gedurende hierdie komende goeie jare bymekaarmaak, en laat hulle graan in Farao se voorraadskure in die stede opgaan en bewaar.^c **36** Die kos moet as voorraad dien vir die sewe jaar van hongersnood wat in Egipte sal ontstaan, sodat die mense en die diere in die land nie gedurende die hongersnood sal sterf nie.”^d

37 Die voorstel het goed geklink vir Farao en al sy knegte. **38** Farao het dus vir sy knegte gesê: “Kan ’n ander man gevind word soos hierdie een, in wie die gees van God is?” **39** Farao het toe vir Josef gesê: “Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand so verstandig en wys soos jy nie. **40** Jy sal persoonlik oor my huis wees, en my hele volk sal jou in alles gehoorsaam.^e Net ek, as die koning, sal groter wees as jy.” **41** En Farao het verder vir Josef gesê: “Kyk, ek stel jou oor die hele

Egipte aan.”^a **42** Farao het toe sy seëlring van sy hand afgehaal en dit aan Josef se hand gesit en hom klere van fyn linne laat aantrek en ’n goue ketting om sy nek gehang. **43** En hy het hom in Farao se tweede beste stryd-wa laat ry, en hulle het voor hom uitgeroep: “*Awrêk!*”^{*} Hy het hom dus oor die hele Egipte aangestel.

44 Farao het verder vir Josef gesê: “Ek is Farao, maar sonder jou toestemming mag niemand in die hele Egipte ’n enkele ding doen nie.”^b **45** Daarna het Farao vir Josef die naam Sa’fenat-Pane’ag gegee en vir hom A’senat^c die dogter van Potife’ra, die priester van On,^{*} as vrou gegee. En Josef het toesig begin hou oor Egipte.^d **46** Josef was 30 jaar oud^e toe hy voor Farao, die koning van Egipte, verskyn het.^{*}

Toe het Josef van Farao af weggegaan en deur die hele Egipte gereis. **47** En gedurende die sewe jaar van oorvloed was die land se opbrengste baie groot. **48** En hy het aangehou om al die kos bymekaar te maak wat Egipte in daardie sewe jaar opgelewer het, en hy het dit in die stede gestoor. Hy het in elke stad die graan van die omliggende landerye gestoor. **49** Josef het baie groot hoeveelhede graan bly opgaar, soos die sand van die see, totdat hulle uiteindelik opgehou het om dit te tel, want dit kon nie getel word nie.

50 Voordat die jaar van die hongersnood aangebreek het, het A’senat die dogter van Poti-

41:43 *Blykbaar ’n bevel om eer aan iemand te betoon. **41:45, 50** *D.w.s. Heliopolis. **41:45** ^aOf “deur die land Egipte begin reis”. **41:46** *Of “toe hy Farao, die koning van Egipte, begin dien het”.

HFST. 41

a Da 5:7

b Ge 44:18
Ge 45:8
Han 7,9,10

c Ge 46:20

d Ps 105:21

e Nu 4:3
2Sa 5:4
Lu 3:23

Tweede kol.

a Ge 48:5

b Ge 50:23
Nu 1:34, 35

c Ge 48:17
Nu 1:32, 33
De 33:17
Jos 14:4

d Ps 105:17,18
Han 7,9,10

e Ge 41:26

f Ge 41:30
Han 7:11

g Ge 45:9,11
Ge 47:17

h Ge 47:13

i Ps 105:21

j Ge 43:1

k Ge 41:48, 49
Ge 47:16

l Ge 47:4

HFST. 42

m Ge 41:48, 49

n Han 7:12

o 1Kr 2:1, 2

fe’ra, die priester van On,^{*} vir Josef aan twee seuns geboorte gegee.^a **51** Josef het die eersgeborene Manas’ses^b genoem, want hy het gesê: “God het my laat vergeet van die hele huis van my pa en van hoe swaar ek gekry het.” **52** En hy het die tweede seun E’fraim^c genoem, want hy het gesê: “God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek swaargekry het.”^d

53 Toe het die sewe jaar van oorvloed in Egipte geëindig,^e **54** en die sewe jaar van hongersnood het begin, net soos Josef gesê het.^f Die hongersnood het in al die lande ontstaan, maar in die hele Egipte was daar kos.^g **55** Uiteindelik het die hele Egipte ook gely as gevolg van die hongersnood, en die volk het Farao begin smeek vir brood.^h Toe het Farao vir al die Egiptenare gesê: “Gaan na Josef toe, en doen wat hy ook al vir julle sê.”ⁱ **56** En daar was hongersnood oor die hele aarde.^j Toe het Josef al die graanskure begin oopmaak en graan aan die Egiptenare verkoop,^k want die hongersnood in Egipte was baie erg. **57** Wat meer is, mense van oral oor die aarde het na Egipte gekom om by Josef te koop, want die hongersnood was baie erg oor die hele aarde.^l

42 Toe Jakob uitvind dat daar graan in Egipte is,^m het hy vir sy seuns gevra: “Hoe kom doen julle nie iets nie?” **2** Hy het bygevoeg: “Ek het gehoor dat daar graan in Egipte is. Gaan soontoe en koop vir ons graan, sodat ons kan bly lewe en nie sterf nie.”ⁿ **3** Tien van Josef se broers^o het dus gegaan

41:51 *Betekén “hy wat vergeetagtig maak; hy wat laat vergeet”. **41:52** *Betekén “vrugbaar in dubbele mate”. **41:54** *Lett. “brood”.

om graan in Egipte te koop. **4** Maar Jakob het Benjamin,^a Josef se broer, nie saam met sy ander broers gestuur nie, want hy het gesê: "Dalk kom hy iets oor."^b

5 So het Israel se seuns saam met die ander gekom wat kos kom koop het, want die hongersnood het na die land Kanaän versprei.^c **6** Josef was in beheer van die land,^d en hy het graan aan mense van oral oor die aarde verkoop.^e Toe Josef se broers by hom kom, het hulle voor hom neergebuig met hulle gesigte na die grond toe.^f **7** Josef het sy broers dadelik herken toe hy hulle sien, maar hy het nie sy identiteit aan hulle bekend gemaak nie.^g Daarom het hy hulle kortaf gevra: "Waar kom julle vandaan?" Hulle het geantwoord: "Uit die land Kanaän om kos te koop."^h

8 Josef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie. **9** Josef het onmiddellik die drome onthou wat hy van hulle gedroom het,ⁱ en hy het vir hulle gesê: "Julle is spioene! Julle het gekom om te sien waar die land aangeval kan word!"^{*} **10** Toe het hulle vir hom gesê: "Nee, my heer, u knegte het gekom om kos te koop. **11** Ons is almal seuns van dieselfde man. Ons is eerlike manne. U knegte is nie spioene nie." **12** Maar hy het vir hulle gesê: "Dit is nie waar nie! Julle het gekom om te sien waar die land aangeval kan word!" **13** Hulle het gesê: "U knegte is 12 broers.^j Ons is die seuns van dieselfde man^k in die land Kanaän, en die jongste is nou by ons pa,^l maar die ander een lewe nie meer nie."^m

14 Josef het vir hulle gesê: "Dit is net soos ek gesê het:

42:9 *Of "om die verswakte toestand van die land te sien".

- HFST. 42
- a Ge 35:18,19
- Ge 42:38
- Ge 44:20
- b Ge 43:14
- c Ge 41:57
- Han 7:11
- d Ge 41:44
- Ge 45:8
- Ps 105:21
- Han 7:9,10
- e Ge 47:14
- f Ge 37:7,9
- g Ge 42:23
- h Ge 37:1
- Han 7:11,12
- i Ge 37:9
- j 1Kr 2:1,2
- k Eks 1:1-4
- l Ge 35:18,19
- Ge 42:38
- Ge 43:7
- m Ge 37:27,35
- Ge 44:20
- Tweede kol.
- a Ge 42:34
- Ge 43:29
- b Ge 45:21,23
- c Ge 37:18,28
- Ge 50:17
- Han 7:9
- d Ge 37:21
- e Ge 9:5
- f Ge 43:30
- g Ge 42:19

'Julle is spioene!' **15** Ek sal julle toets om te sien of julle die waarheid praat: So waar as wat Farao lewe, julle sal nie hierdie plek verlaat totdat julle jongste broer hierheen kom nie.^a **16** Een van julle moet julle broer gaan haal terwyl die res van julle gevange gehou word. So sal ek kan sien of julle die waarheid praat. Maar as julle lieg, so waar as wat Farao lewe, dan is julle spioene." **17** Toe het hy hulle vir drie dae saam laat opsluit.

18 Josef het op die derde dag vir hulle gesê: "Doen die volgende en bly lewe, want ek vrees God. **19** As julle eerlik is, laat een van julle broers hier 'n gevangene bly, maar die res van julle mag gaan en graan saamneem sodat julle huishoudings nie honger ly nie.^b **20** Bring dan julle jongste broer na my toe om te bevestig dat julle woorde betroubaar is, en dan sal julle nie sterf nie." En hulle het dit gedoen.

21 En hulle het vir mekaar gesê: "Ons word beslis gestraf as gevolg van ons broer,^c want ons het gesien hoe angstig hy was toe hy ons om genade gesmeek het, maar ons het nie geluister nie. Daarom het hierdie moeilikheid oor ons gekom." **22** Toe het Ruben hulle geantwoord: "Het ek nie vir julle gesê: 'Moenie teen die kind sondig nie'? Maar julle wou nie luister nie.^d Nou word sy bloed van ons teruggeëis."^e **23** Maar hulle het nie geweet dat Josef verstaan nie, want hy het deur middel van 'n tolk met hulle gepraat. **24** En hy het van hulle af weggedraai en begin huil.^f Toe hy na hulle terugkeer en weer met hulle praat, het hy Si-meon^g van hulle af weggenem en hom voor hulle oë vasge-

bind.^a **25** Daarna het Josef die bevel gegee dat hulle sakke* vol graan gemaak moet word, dat elke man se geld in sy sak teruggesit moet word en dat daar vir hulle padkos vir die reis gegee moet word. En dit is vir hulle gedoen.

26 Hulle het hulle graan op hulle donkies gelaai en daarvan dan vertrek. **27** Toe een van hulle sy sak oopmaak om vir sy donkie voer te gee by die plek waar hulle sou oornag, het hy sy geld in die opening van sy sak gesien. **28** Hy het vir sy broers gesê: "My geld is terug, en dit is hier in my sak!" Hulle het bang geword en angstig vir mekaar gesê: "Wat het God aan ons gedoen?"

29 Toe hulle by hulle pa, Jakob, in die land Kanaän kom, het hulle hom alles vertel wat met hulle gebeur het. Hulle het gesê: **30** "Die man in beheer van die land was onvriendelik toe hy met ons gepraat het^b en het ons daarvan beskuldig dat ons spioene is. **31** Maar ons het vir hom gesê: 'Ons is eerlike manne. Ons is nie spioene nie.'^c **32** Ons is 12 broers,^d seuns van dieselfde pa. Een lewe nie meer nie,^e en die jongste is nou by ons pa in die land Kanaän.'^f **33** Maar die man in beheer van die land het vir ons gesê: 'So sal ek weet dat julle eerlik is: Los een van julle broers by my.^g Neem dan kos sodat julle huishoudings nie honger ly nie en gaan.'^h **34** En bring julle jongste broer na my toe, sodat ek kan weet dat julle nie spioene is nie, maar dat julle eerlike manne is. Dan sal ek julle broer vir julle teruggee, en julle sal in die land kan handel dryf."

35 Toe hulle hulle sakke leegmaak, was elkeen se sakkie

HFST. 42

a Ge 43:23

b Ge 42:7,9

c Ge 42:11

d Ge 42:13

e Ge 37:28, 35

f Ge 35:18,19
Ge 42:4

g Ge 42:19

h Ge 42:2

Tweede kol.

a Ge 43:14

b Ge 37:28, 35

c Ge 42:24

d Ge 37:22
Ge 46:9

e Ge 43:8,9
Ge 44:32

f Ge 37:31-34
Ge 44:20

g Ps 89:48
Pr 9:10
Ho 13:14
Han 2:27
Op 20:13

h Ge 37:34, 35
Ge 44:29

HFST. 43

i Ge 41:30
Han 7:11

j Ge 42:1, 2

k Ge 42:15

l Ge 42:15

m Ge 32:28

n Ge 42:13

geld in sy sak. En toe hulle en hulle pa hulle sakkies geld sien, het hulle bang geword. **36** Jakob, hulle pa, het uitgeroep: "Julle het my van my kinders beroof!^a Josef is nie meer daar nie^b en Si'meon is nie meer daar nie,^c en nou gaan julle Benjamin wegneem! Hoe kan al hierdie dinge met my gebeur?" **37** Maar Ruben het vir sy pa gesê: "Pa kan my eie twee seuns doodmaak as ek hom nie terugbring nie.^d Plaas hom in my sorg, en ek sal hom na Pa toe terugbring."^e **38** Maar hy het gesê: "My seun sal nie saam met julle gaan nie, want sy broer is dood en hy alleen het oorgebly.^f As hy iets oorkom op die pad, dan sal julle beslis my grys hare met droefheid na die Graf^g laat afgaan."^h

43 Die hongersnood in die land was baie erg.ⁱ **2** Toe die graan wat hulle uit Egipte gebring het,^j op was, het hulle pa vir hulle gesê: "Gaan terug en koop vir ons 'n bietjie kos."^k **3** Toe het Juda vir hom gesê: "Die man het ons uitdruklik gewaarsku: 'Julle mag nie weer na my toe kom tensy julle broer by julle is nie.'^l **4** As Pa ons broer saam met ons stuur, sal ons gaan en kos koop. **5** Maar as Pa hom nie saamstuur nie, sal ons nie gaan nie, want die man het vir ons gesê: 'Julle mag nie weer na my toe kom tensy julle broer by julle is nie.'^m **6** Israelⁿ het gevra: "Hoekom het julle hierdie moeilikheid oor my gebring deur vir die man te sê dat julle nog 'n broer het?" **7** Hulle het geantwoord: "Die man het ons spesiefiek oor ons familielede uitgevra: 'Lewe julle pa nog? Het julle nog 'n broer?' En ons het vir hom die feite vertel.ⁿ Hoe kon

42:25 *Of "houers".

42:38 *Of "Sjeeol". Sien Woordelys.

ons geweet het dat hy sou sê: 'Bring julle broer saam?'"^a

8 Juda het toe sy pa, Israel, gesmeek: "Stuur die seun saam met my,^b en laat ons gaan sodat ons kan lewe en nie sterf nie^c – ons en Pa en ons kinders.^d

9 Ek sal die waarborg wees vir sy veiligheid.^e Pa kan my verantwoordelik hou. As ek hom nie terugbring en hom hier voor Pa laat staan nie, dan sal ek vir altyd teen Pa gesondig het.

10 Maar as ons nie so lank geneem het nie, kon ons nou al twee keer soontoe en terug ge-wees het."

11 Toe het hulle pa, Israel, vir hulle gesê: "As dit dan so moet wees, moet julle die volgende doen: Neem die beste produkte van die land in julle sakke* en neem dit vir die man as 'n geskenk:^f 'n bietjie balsem,^g 'n bietjie heuning, gom,^h die bas van gombome,^h pistachioneute en amandels.

12 Neem dubbel soveel geld saam met julle, en neem ook die geld terug wat in die opening van julle sakke gesit is.ⁱ Miskien was dit 'n fout. **13** Neem julle broer en gaan terug na die man toe. **14** Mag God die Almagtige julle help om die man se genade te verkry, sodat hy julle ander broer en Benjamin sal vrylaat. Maar as ek my kinders moet verloor, dan moet ek hulle maar verloor!"^j

15 Die manne het die geskenk en dubbel soveel geld saamgeneem. Toe het hulle saam met Benjamin na Egipte vertrek en weer voor Josef verskyn.^k **16** Toe Josef sien dat Benjamin by hulle is, het hy dadelik vir die man wat oor sy huis was, gesê: "Neem die manne na die huis en slag diere en

43:11 *Of "houers". ^hLett. "labdanum".

HFST. 43
 a Ge 42:16
 b Ge 37:26
 Ge 42:38
 c Ge 42:1, 2
 d Han 7:14
 e Ge 44:32
 f Ge 32:20
 g Jer 8:22
 Ese 27:17
 h Ge 37:25
 i Ge 42:25, 35
 j Ge 42:36
 k Ge 37:7, 9
 Tweede kol.
 a Ge 41:39, 40
 b Ge 42:25, 35
 c Ge 42:3
 d Ge 42:27
 e Ge 43:12
 f Ge 42:23, 24
 g Ge 43:11
 h Ge 43:16
 i Ge 37:7, 9
 Ge 42:6

berei 'n maaltyd voor, want die manne gaan vanmiddag by my eet." **17** Die man het onmiddellik gedoen net soos Josef gesê het,^a en hy het hulle na Josef se huis geneem. **18** Maar die manne het bang geword toe hulle na Josef se huis geneem is, en hulle het begin sê: "Dit is weens die geld wat laas keer in ons sakke gesit is dat ons hierheen gebring word. Hulle gaan ons nou aanval, slawe van ons maak en ons donkies vat!"^b

19 Hulle het dus na die man gegaan wat oor Josef se huis was en by die ingang van die huis met hom gepraat. **20** Hulle het gesê: "Verskoon ons, my heer! Ons het die vorige keer gekom om kos te koop.^c **21** Maar toe ons by die plek kom waar ons sou oornag en ons sakke begin oopmaak, het ons gesien dat elkeen se geld in die opening van sy sak is, die volle bedrag.^d Daarom wil ons dit graag persoonlik teruggee. **22** En ons het nog geld saamgebring om kos te koop. Ons weet nie wie ons geld in ons sakke gesit het nie."^e **23** Toe het hy gesê: "Alles is reg. Moenie bang wees nie. Julle geld het eers na my toe gekom. Julle God en die God van julle vader het 'n skat in julle sakke gesit." Daarna het hy Si'meon na hulle toe uitgebring.^f

24 Toe het die man hulle in Josef se huis ingebring en vir hulle water gegee om hulle voete te was, sowel as voer vir hulle donkies. **25** En hulle het die geskenk gereedgemaak^g vir wanneer Josef in die middag sou kom, want hulle het gehoor dat hulle 'n maaltyd daar sou eet.^h **26** Toe Josef in die huis ingaan, het hulle die geskenk na hom toe gebring in die huis en voor hom na die grond toe neergebuig.ⁱ **27** Hierna het

hy gevra hoe dit met hulle gaan en toe gesê: “Hoe gaan dit met julle bejaarde pa, van wie julle my vertel het? Lewe hy nog?”^a **28** Hulle het gesê: “Dit gaan goed met u kneg, ons pa. Hy lewe nog.” Toe het hulle laag ge-
buig.^b

29 Toe hy opkyk en sy broer Benjamin sien, die seun van sy ma,^c het hy gevra: “Is dit julle broer, die jongste van wie julle my vertel het?”^d Hy het bygevoeg: “Mag jy God se goedkeuring geniet, my seun.”

30 Josef het toe vinnig uitgegaan, want toe hy sy broer sien, kon hy nie sy emosies beheer nie, en hy het na 'n plek gesoek om te huil. Hy het dus in 'n private kamer ingegaan en daar begin huil.^e **31** Daarna het hy sy gesig gewas en uitgegaan. Met sy emosies weer onder beheer het hy gesê: “Bedien die maaltyd.” **32** Hulle het hom bedien en sy broers apart bedien. Die Egiptenare wat by hom was, het ook apart geëet. Die Egiptenare kon nie 'n maaltyd saam met die Hebreërs eet nie, want dit is vir hulle heeltemal onaanvaarbaar.^f

33 Elkeen van die broers het 'n sitplek voor hom gekry volgens hulle ouderdom, van die oudste, volgens sy reg as die eersgeborene,^g tot die jongste, en hulle het heeltyd verbaas na mekaar gekyk. **34** Hy het heeltyd porsies kos van sy tafel na hulle s'n gestuur, maar hy het Benjamin se porsie vyf keer groter as al die ander se porsies gemaak.^h So het hulle aangehou om saam met hom te eet en te drink totdat hulle genoeg gehad het.

44 Later het hy die man wat oor sy huis was, beveel: “Vul die sakke van die manne met soveel kos as wat hulle kan

HFST. 43

a Ge 43:7

b Ge 37:7,9

c Ge 35:24

d Ge 42:13

e Ge 42:23, 24

f Ge 46:33, 34
Eks 8:26g Ge 49:3
De 21:17

h Ge 45:22

Tweede kol.

HFST. 44

a Ge 42:25

b Ge 43:12

dra, en sit elkeen se geld in die opening van sy sak.^a **2** Maar jy moet my beker, die silwerbeker, in die opening van die sak van die jongste sit, saam met die geld vir sy graan.” Toe het hy gedoen wat Josef hom beveel het.

3 In die oggend, toe dit lig geword het, het die manne met hulle donkies vertrek. **4** Hulle was nog nie ver van die stad af nie toe Josef vir die man wat oor sy huis was, gesê het: “Staan op! Sit die manne agterna! Wanneer jy hulle inhaal, moet jy vir hulle sê: ‘Hoekom het julle so 'n slegte ding gedoen nadat julle so goed behandel is?’ **5** Is dit nie die beker waaruit my meester drink en wat hy gebruik om tekens met groot vaardigheid te lees nie? Dit is 'n slegte ding wat julle gedoen het.”

6 Hy het hulle toe ingehaal en dit vir hulle gesê. **7** Maar hulle het vir hom gesê: “Hoekom sê my heer dit? U knegte sal nooit so iets doen nie. **8** Kyk, die geld wat ons in die opening van ons sakke gevind het, het ons uit die land Kanaän na u toe teruggebring.^b Hoekom sou ons dan silwer of goud uit die huis van u meester steel? **9** As dit by een van u slawe gevind word, laat hom dan sterf, en die res van ons sal ook slawe van u* meester word.” **10** Toe het hy gesê: “Dit sal wees soos julle sê: Die een by wie dit gevind word, sal my slaaf word, maar die res van julle sal onskuldig wees.” **11** En elkeen het gou sy sak op die grond gesit en dit oopgemaak. **12** Hy het toe deeglik gesoek. Hy het by die oudste begin en by die jongste geëindig. Uiteindelik is

44:9 *Lett. “my”.

die beker in Benjamin se sak gevind.^a

13 Toe het hulle hulle kle-re geskeur, en elkeen van hulle het sy vrag weer op sy donkie getel en na die stad teruggekeer. **14** Toe Juda^b en sy broers in Josef se huis ingaan, was hy nog steeds daar, en hulle het voor hom na die grond toe neergebuig.^c **15** Josef het vir hulle gevra: "Wat het julle gedoen? Het julle nie geweet dat 'n man soos ek tekens met groot vaardigheid kan lees nie?"^d **16** Juda het toe geantwoord: "Wat kan ons vir my meester sê? Hoe kan ons dit verduidelik? En hoe kan ons bewys dat ons regverdig is? Die ware God het die oortreding van u slawe geopenbaar.^e Ons is nou my meester se slawe, ons sowel as die een by wie die beker gevind is!" **17** Maar hy het gesê: "Ek sal dit nooit doen nie! Die man by wie die beker gevind is, hy sal my slaaf word.^f Die res van julle mag in vrede na julle pa toe gaan."

18 Juda het toe nader gekom na hom toe en gesê: "Ek smEEK u, my meester, laat u kneg asseblief toe om met u te praat en moenie vir u slaaf kwaad word nie, want u is so magtig soos Farao self.^g **19** My meester het sy slawe gevra: 'Het julle 'n pa of 'n broer?' **20** En ons het vir my meester gesê: 'Ons het 'n bejaarde pa, en hy het 'n kind op sy oudag gehad, die jongste.^h Maar sy broer is dood,ⁱ en daarom is hy die enigste oorblywende seun van sy ma,^j en sy pa is lief vir hom.'^k **21** Daarna het u vir u slawe gesê: 'Bring hom na my toe sodat ek hom kan sien.'^k **22** Maar ons het vir my meester gesê: 'Die seun kan nie sy pa verlaat nie. As hy sy pa verlaat, sal sy pa beslis sterf.'^l **23** Toe

HFST. 44

- a Ge 44:2
- b Ge 43:8
Ge 44:32
- c Ge 37:7,9
- d Ge 44:5
- e Ge 37:18, 28
Ge 42:21, 22
- f Ge 44:9
- g Ge 41:44
Ge 45:8
- h Ge 42:13
Ge 43:7
- i Ge 37:31-34
- j Ge 35:18, 19
- k Ge 42:15
Ge 43:29
- l Ge 42:38

Tweede kol.

- a Ge 42:20
- b Ge 43:2
- c Ge 43:5
- d Ge 29:18
Ge 30:22-24
Ge 35:18, 19
Ge 46:19
- e Ge 37:33
- f Ps 16:10
Pr 9:10
Ho 13:14
Han 2:27
Op 20:13
- g Ge 37:34, 35
Ge 42:38
Ps 88:3
- h Ge 43:9

het u vir u slawe gesê: 'Tensy julle jongste broer saam met julle kom, mag julle nie weer na my toe kom nie.'^a

24 "En ons het na u slaaf, my pa, gegaan en hom vertel wat my meester gesê het. **25** Later het ons pa gesê: 'Gaan terug en koop vir ons 'n bietjie kos.'^b

26 Maar ons het gesê: 'Ons kan nie gaan nie. Ons sal gaan as ons jongste broer saam met ons gaan, want ons kan nie na die man toe gaan tensy ons jongste broer by ons is nie.'^c **27** Toe het u slaaf, my pa, vir ons gesê: 'Julle weet goed dat my vrou vir my aan net twee seuns geboorte gegee het.'^d **28** Maar een van hulle het my verlaat, en ek het gesê: "Hy is sekerlik verskeur!"^e en ek het hom nooit weer gesien nie. **29** As julle hierdie een ook wegneem en iets met hom gebeur, sal julle beslis my grys hare met droefheid na die Graf^f laat afgaan.'^g

30 "My pa, u slaaf, is net so lief vir hierdie seun soos vir sy eie lewe. As ek sonder hom terugkeer **31** en hy sien dat die seun nie daar is nie, sal hy sterf, en u knegte sal beslis die grys hare van u slaaf, ons pa, met droefheid na die Graf^{*} laat afgaan. **32** U slaaf het vir my pa 'n waarborg vir die seun gegee deur te sê: 'As ek hom nie terugbring nie, dan sal ek vir ewig teen Pa gesondig het.'^h **33** Laat ek dan nou asseblief in die plek van die seun as 'n slaaf vir my meester bly, sodat die seun saam met sy broers kan terugkeer. **34** Hoe kan ek sonder die seun na my pa terugkeer? Ek sal dit nie kan verdra om te sien wat dit aan my pa sal doen nie!"

44:29, 31 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

45 Toe kon Josef nie meer sy emosies voor al sy die- naars onder beheer hou nie.^a Daarom het hy uitgeroep: “Gaan uit, almal van julle!” Niemand anders het by hom gebly terwyl Josef sy identiteit aan sy broers bekend gemaak het nie.^b

2 Toe het hy so hard be- gin huil dat die Egiptenare so- wel as Farao se huis dit gehoor het. **3** Uiteindelik het Josef vir sy broers gesê: “Ek is Jo- sef. Lewe my pa nog?” Maar sy broers kon hom glad nie an- woord nie, want hulle was stom- geslaan. **4** Toe het Josef vir sy broers gesê: “Kom asseblief na- der.” Hulle het toe nader gekom.

Daarna het hy gesê: “Ek is Josef, julle broer, wat julle ver- koop het en wat na Egipt- e gebring is.^c **5** Maar moenie ontstel wees en moenie vir me- kaar kwaad wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om ons aan die lewe te hou.^d **6** Dit is die tweede jaar van die hongersnood in die land,^e en daar is nog vyf jaar waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. **7** Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oor- blyfsel^f op die aarde* te laat oorby en om julle op 'n wonder- like manier te red. **8** Dit was dus nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar die ware God, sodat hy my kon aanstel as Farao se vernaamste raad- gewer* en as heer oor sy hele huis en as heerser van die hele Egipte.^g

9 “Maak gou en gaan terug na my pa toe, en sê vir hom: ‘Dit is wat u seun Josef gesê het: “God het my as heer oor die hele Egipte aangestel.^h Kom so gou

45:7 *Of “in die land”. 45:8 *Lett. “as 'n vader vir Farao”.

HFST. 45

a Ge 43:30

b Han 7:13

c Ge 37:28
Han 7:9

d Ge 47:23, 25
Ge 50:20
Ps 105:17

e Ge 41:30
Ge 47:18

f Ge 46:26

g Ps 105:21
Han 7:9, 10

h Ge 45:26

Tweede kol.

a Han 7:14

b Ge 46:33, 34
Ge 47:1
Eks 8:22
Eks 9:26

c Ge 47:12

d Ge 42:23

e Ge 46:29

f Ge 47:6

g Ge 41:39, 40

h Ge 45:27
Ge 46:5

i Ge 47:9

j Ge 46:6

as moontlik na my toe.^a **10** U moet in die land Gosen woon,^b sodat u naby my sal wees – u, u kinders, u kleinkinders, u bees- te, u kleinvee en alles wat u het. **11** Daar sal ek kos aan u voorsien, want daar is nog vyf jaar van hongersnood oor.^c Dan sal u en u huis en alles wat u het, nie in armoede verval nie.”

12 Julle en my broer Benjamin kan nou met julle eie oë sien dat dit werklik ek is wat met jul- le praat.^d **13** Julle moet my pa dus vertel van al my heerlikheid in Egipte en alles wat julle ge- sien het. Maak nou gou en bring my pa hierheen.”

14 Toe het hy sy broer Benjamin omhels en begin huil, en Benjamin het in Josef se arms gehuil.^e **15** En hy het al sy broers gesoen en gehuil terwyl hy hulle omhels het, en daarna het sy broers met hom gepraat.

16 Die huis van Farao het die nuus gehoor: “Josef se broers het gekom!” En Farao en sy knegte was bly toe hulle dit hoor. **17** Toe het Farao vir Jo- sef gesê: “Sê vir jou broers: ‘Doen die volgende: Laai julle pakkere en gaan na die land Kanaän, **18** en neem julle pa en julle gesinne en kom hier na my toe. Ek sal julle die goeie dinge van Egipte gee, en julle sal van die beste deel van die land eet.’^f **19** En jy moet vir hulle sê:^g ‘Doen die volgende: Neem waens^h uit Egipte vir jul- le kinders en julle vrouens, en julle moet julle pa op een van hulle bring en hierheen kom.’ **20** Moenie bekommerd wees oor julle besittings nie,ⁱ want die beste van die hele Egipte is julle s’n.”

21 En die seuns van Israel het dit gedoen, en Josef het

45:18 *Of “van die vet van die land le- we”.

vir hulle waens gegee soos Farao gesê het, en hy het vir hulle padkos gegee vir die reis. **22** Hy het vir elkeen van hulle 'n stel klere gegee, maar vir Benjamin het hy 300 silwerstukke en vyf stelle klere gegee.^a **23** En vir sy pa het hy die volgende gestuur: tien donkies met goeie dinge van Egipte en tien donkiemerries met graan en brood en padkos vir sy pa se reis. **24** So het hy sy broers weggestuur, en toe hulle vertrek het, het hy gesê: "Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie."^b

25 Toe het hulle uit Egipte vertrek en in die land Kanaän by hulle pa, Jakob, aangekom. **26** En hulle het vir hom gesê: "Josef lewe nog, en hy is die heerser van die hele Egipte!"^c Maar hy het nie daarop gereageer nie, want hy het hulle nie geglo nie.^d **27** Toe hulle hom vertel van alles wat Josef vir hulle gesê het en toe hy die waens sien wat Josef gestuur het om hom te vervoer, het hulle pa, Jakob, nuwe lewe gekry. **28** Israel het uitgeroep: "Dit is genoeg! My seun Josef lewe nog! Ek moet na hom toe gaan en hom sien voordat ek sterf!"^e

46 Israel het toe vertrek met alles wat hy gehad het.* Toe hy by Berse'ba^f kom, het hy offerandes aan die God van sy pa, Isak,^g gebring. **2** Toe het God in 'n nagvisioen met Israel gepraat en gesê: "Jakob, Jakob!" En hy het gesê: "Hier is ek!" **3** Hy het gesê: "Ek is die ware God, die God van jou pa."^h Moenie bang wees om na Egipte te gaan nie, want daar sal ek jou 'n groot nasie maak.ⁱ **4** Ek sal saam met jou na Egipte gaan, en ek sal jou ook weer daarvandaan terugbring,^j en Josef

46:1 *Of "almal wat syne was".

HFST. 45
a Ge 43:34
b Ge 42:21, 22
c Ps 105:21
d Ge 42:38
Ge 44:27, 28
e Ge 46:30

HFST. 46
f Ge 21:31
g Ge 31:42
Eks 3:6
h Ge 28:13
i Ge 12:1, 2
Eks 1:7
De 26:5
j Ge 15:16
Ge 28:15
Ge 47:29, 30
Ge 50:13

Tweede kol.

a Ge 50:1
b Eks 1:1-4
c Ge 35:23
1Kr 5:1
d Nu 26:5, 6
e Ge 29:33
f Nu 26:12, 13
1Kr 4:24
g Ge 29:34
h 1Kr 6:16
i Ge 29:35
Op 5:5
j Ge 38:2-5
k Lu 3:23, 33
l Ge 38:30
m Ge 38:7, 9, 10
n Nu 26:21
1Kr 2:5
o Nu 26:23, 24
1Kr 7:1
p Ge 30:20
q Nu 26:26
r Ge 30:21

sal jou oë toedruk wanneer jy sterf."^a

5 Daarna het Jakob uit Berse'ba weggetrek, en die seuns van Israel het hulle pa, Jakob, en hulle kinders en hulle vrouens op die waens vervoer wat Farao gestuur het om hom te vervoer. **6** Hulle het hulle kudde en hulle besittings, wat hulle in die land Kanaän bymeekaargemaak het, saamgeneem. Uiteindelik het hulle in Egipte aangekom, Jakob en sy hele familie saam met hom. **7** Hy het sy seuns en sy kleinseuns saam met hom na Egipte gebring, asook sy dogters en sy kleindogters - al sy nakomelinge.

8 En dít is die name van Israel se seuns, dit wil sê die seuns van Jakob, wat na Egipte toe gekom het:^b Jakob se eersgeborene was Ruben.^c

9 Die seuns van Ruben was Hanog, Pallu, Hesron en Karmi.^d

10 Die seuns van Si'meon^e was Je'muel, Jamin, Ohad, Jagin, Sohar en Saul,^f die seun van 'n Kanaänitiese vrou.

11 Die seuns van Levi^g was Gerson, Kehat en Mera'ri.^h

12 Die seuns van Judaⁱ was Er, Onan, Sela,^j Peres^k en Serag.^l Maar Er en Onan het in die land Kanaän gesterf.^m

Die seuns van Peres was Hesron en Hamul.ⁿ

13 Die seuns van Is'saskar was Tola, Puwa, Job en Simron.^o

14 Die seuns van Se'bulon^p was Sered, Elon en Jag'leël.^q

15 Dit is die seuns van Lea, aan wie sy vir Jakob in Paddan-Aram geboorte gegee het, saam met sy dogter Dina.^r Hy het altesaam 33 seuns en dogters gehad.*

46:15 *Of "Die siele van sy seuns en sy dogters was altesaam 33".

16 Die seuns van Gad^a was Sifjon, Haggi, Suni, Esbon, Eri, Aro'di en Are'li.^b

17 Die seuns van Aser^c was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beri'a, en hulle suster was Sera.

Die seuns van Beri'a was Heber en Mal'kiël.^d

18 Dit is die seuns van Silpa,^e wat Laban aan sy dogter Lea gegee het. Die nakomelinge van Silpa en Jakob was altesaam 16 persone.*

19 Die seuns van Jakob se vrou Ragel was Josef^f en Benjamin.^g

20 Josef se vrou, A'senat,^h die dogter van Potife'ra, die priester van On,* het in Egipte vir hom aan Manas'seⁱ en E'fraim^j geboorte gegee.

21 Die seuns van Benjamin^k was Bela, Beger, Asbel, Gera,^l Naãman, Ehi, Ros, Muppim, Huppim^m en Ard.ⁿ

22 Die nakomelinge van Ragel en Jakob was altesaam 14 persone.*

23 Die seun* van Dan^o was Husim.^p

24 Die seuns van Naf'tali^q was Jag'seël, Guni, Jeser en Sillem.^r

25 Dit is die seuns van Bilha, wat Laban aan sy dogter Ragel gegee het. Die nakomelinge van Bilha en Jakob was altesaam sewe persone.*

26 Die nakomelinge van Jakob, wat saam met hom na Egipte gegaan het, was 66, buiten die vrouens van Jakob se seuns.^s

27 Twee seuns is vir Josef in Egipte gebore. Daar was altesaam 70 lede* van Jakob se huishouding wat na Egipte gegaan het.^t

46:18 *Of "16 siele". 46:20 *D.w.s. Heliopolis. 46:22 *Of "14 siele". 46:23 *Lett. "seuns". 46:25 *Of "sewe siele". 46:27 *Of "70 siele".

HFST. 46

- a Ge 30:11
b Nu 26:15-17
c Ge 30:13
d Nu 26:44, 45
e Ge 29:24
f Ge 30:24
g Ge 35:18
h Ge 41:50
i Ge 41:51
j Ge 41:52
k 1Kr 7:6
l 1Kr 8:1, 3
m 1Kr 7:12
n Nu 26:38-40
o Ge 30:6
p Nu 26:42
q Ge 30:8
r Nu 26:48, 49
s Ge 35:10, 11
t Eks 1:5
De 10:22
Han 7:14

Tweede kol.

- a Ge 43:8
Ge 44:18
b Ge 45:10
Ge 47:1
c Ge 41:39, 40
d Ge 45:19
Han 7:13
e Ge 31:17, 18
Ge 47:3
f Ge 31:38
g Ge 46:6
h Ge 30:35, 36
i Ge 45:17, 18
Ge 47:27
j Ge 43:32

HFST. 47

- k Ge 46:31
l Ge 45:10
Eks 8:22
m Han 7:13
n Ge 12:16
Ge 26:12, 14
Ge 31:17, 18
Ge 46:33, 34
o Ge 15:13
De 26:5
Ps 105:23
Han 7:6

28 Jakob het Juda^a voor hom uit gestuur om vir Josef te sê dat hy op pad na Gosen is. Toe hulle in die land Gosen kom,^b 29 het Josef sy strydwa gereedgemaak en gegaan om sy pa, Israel, in Gosen te ontmoet. Toe hy by hom kom, het hy hom dadelik omhels en lank gehuil. 30 Toe het Israel vir Josef gesê: "Nou kan ek maar sterf, want ek het jou met my eie oë gesien, en ek weet dat jy nog lewe."

31 Josef het toe vir sy broers en vir sy pa se huishouding gesê: "Laat my na Farao gaan^c en vir hom sê: 'My broers en my pa se huishouding wat in die land Kanaän was, het hier na my toe gekom.'^d 32 Die manne is herders^e en hulle boer met vee,^f en hulle het hulle kleinvee en hulle beeste en alles wat hulle het, hierheen gebring.'^g 33 Wanneer Farao julle laat roep en vra: 'Watter soort werk doen julle?' 34 moet julle sê: 'U knegte was van jongs af veeboere, net soos ons voorvaders.'^h Dan sal julle in die land Gosen kan woon,ⁱ want die Egiptenare sien neer op alle skaapherders.'^j

47 Toe het Josef vir Farao gaan sê:^k "My pa en my broers het met hulle kleinvee en hulle beeste en alles wat hulle besit, uit die land Kanaän gekom, en hulle is in die land Gosen."^l 2 Hy het vyf van sy broers geneem en hulle aan Farao voorgestel.^m

3 Farao het vir sy broers gevra: "Watter soort werk doen julle?" Hulle het Farao geantwoord: "U knegte is skaapherders, net soos ons voorvaders."ⁿ

4 Toe het hulle vir Farao gesê: "Ons het as uitlanders in die land kom woon,^o want daar is geen weiding vir ons kleinvee nie, want die hongersnood

is baie erg in die land Kanaän.^a Laat u knegte dan nou asseblief in die land Gosen woon.”^b

5 Farao het vir Josef gesê: “Jou pa en jou broers het hier na jou toe gekom. **6** Egipte is vir jou beskikbaar. Laat jou pa en jou broers in die heel beste deel van die land woon.^c Laat hulle in die land Gosen woon, en as jy weet van enige bekwame manne onder hulle, laat hulle my vee oppas.”

7 Toe het Josef sy pa, Jakob, ingebring en hom aan Farao voorgestel, en Jakob het Farao geseën. **8** Farao het vir Jakob gevra: “Hoe oud is jy?”

9 Jakob het vir Farao gesê: “Ek is 130 jaar oud, en ek swerf al my hele lewe lank rond.* Dit was moeilike jare,^d maar hulle is min in vergelyking met die aantal jare wat my voorvaders rondgeswerf het.”^e **10** Daarna het Jakob Farao geseën en van hom af weggegaan.

11 Josef het dus sy pa en sy broers in Egipte laat woon, en hy het vir hulle ’n besitting gegee in die heel beste deel van die land, in die land Ramses,^f net soos Farao beveel het.

12 En Josef het aangehou om kos* aan sy pa en sy broers en die hele huishouding van sy pa te voorsien, volgens die getal kinders wat hulle gehad het.

13 En daar was geen kos* in die hele land nie, want die hongersnood was baie erg, en Egipte en Kanaän het baie swaargekry as gevolg van die hongersnood.^g **14** Josef het al die geld in Egipte en in Kanaän ontvang wat die mense betaal het vir die graan wat hulle gekoop het,^h en Josef het die

47:9 *Of “ek woon al my hele lewe lank as ’n uitlander”. ^aOf “as uitlanders gewoon het”. 47:12, 13 *Letl. “brood”.

HFST. 47

a Han 7:11

b Ge 45:10

c Ge 45:17,18

d Job 14:1, 2

e Ge 25:7
Ge 35:28

f Ge 45:10
Eks 1:8,11
Eks 12:37
Nu 33:3

g Ge 41:30, 31

h Ge 41:56
Ge 44:25

Tweede kol.

a Ge 41:48, 49

b Ge 41:45

geld in Farao se huis bly inbring. **15** Mettertyd het die geld van Egipte en Kanaän opgeraak, en al die Egiptenare het na Josef toe begin kom en gesê: “Gee vir ons kos! Gaan u ons laat sterf net omdat ons geld opgeraak het?” **16** Toe het Josef gesê: “As julle geld opgeraak het, gee dan julle vee, en ek sal vir julle kos gee in ruil vir julle vee.” **17** En hulle het hulle vee na Josef begin bring, en Josef het aangehou om vir hulle kos te gee in ruil vir hulle perde, die kleinvee en die beeste en die donkies, en hy het gedurende daardie jaar kos aan hulle voorsien in ruil vir al hulle vee.

18 Daardie jaar het tot ’n einde gekom, en hulle het die volgende jaar weer na hom toe gekom en gesê: “Ons sal dit nie vir my heer wegsteek dat die geld en die diere reeds aan my heer oorbetal is nie. Ons het niks vir my heer oor behalwe onself en ons grond nie. **19** Gaan u ons laat sterf en toelaat dat ons grond verwaarloos word? Koop ons en ons grond in ruil vir kos, en ons sal Farao se slaawe word, en ons grond sal syne word. Gee vir ons saad sodat ons kan lewe en nie sterf nie en sodat ons grond nie ’n woesteny word nie.” **20** Josef het toe al die grond van die Egiptenare vir Farao gekoop, want elke Egiptenaar het sy stuk grond verkoop, want die hongersnood was baie erg, en die grond het Farao s’n geword.

21 Toe het hy die volk na stede verskuif, van die een end van die gebied van Egipte tot die ander end daarvan.^a **22** Die enigste grond wat hy nie gekoop het nie,^b was die grond wat aan die priesters behoort het, want die priesters het gelewe van kos wat Farao aan hulle voorsien

het. Daarom het hulle nie hulle grond verkoop nie. **23** Toe het Josef vir die volk gesê: “Kyk, ek het julle en julle grond vandag vir Faraó gekoop. Hier is vir julle saad om in die landerye te saai. **24** Julle moet ’n vyfde van die opbrengs aan Faraó gee,^a maar julle kan vier dele gebruik as saad vir die land en as kos vir julle, vir julle kinders en vir die ander wat in julle huise is.” **25** Hulle het toe gesê: “U het ons lewe gered.^b As dit reg is met u, sal ons Faraó se slawe word.”^c **26** Josef het toe ’n wet in Egipte gemaak, wat tot vandag toe geldig is, dat ’n vyfde aan Faraó behoort. Dit was net die priesters se grond wat nie Faraó s’n geword het nie.^d

27 Israel het in Egipte, in die land Gosen, bly woon,^e en hulle het hulle daarin gevestig en was vrugbaar en het baie vermeerder.^f **28** En Jakob het nog 17 jaar lank in Egipte gelewe. Jakob het dus 147 jaar oud geword.^g

29 Toe Israel se einde begin nader kom,^h het hy sy seun Josef geroep en gesê: “As jy werklik vir my omgee, sit dan asseblief jou hand onder my bobeen en betoon lojale liefde en getrouheid aan my. Moet my asseblief nie in Egipte begrawe nie.ⁱ **30** Wanneer ek sterf,^{*} moet jy my uit Egipte neem en my in die graf van my voorvaders begrawe.”^j Toe het hy gesê: “Ek sal doen net soos u sê.” **31** En hy het gesê: “Sweer vir my.” Josef het vir hom gesweer,^k en Israel het by die koppenent van sy bed neergebuig.^l

48 Ná hierdie dinge is daar vir Josef gesê: “Jou pa word al hoe swakker.” Toe het hy sy twee seuns, Manas’se

HFST. 47

a Ge 41:34

b Ge 45:5
Han 7:11

c Ge 47:19

d Ge 47:22

e Ge 47:4

f Eks 1:7
De 10:22
Ps 105:24
Han 7:17

g Ge 47:9

h Ge 49:33

i Ge 46:4
Ge 50:13
Han 7:15,16j Ge 25:9,10
Ge 49:29,30

k Ge 50:5

l Heb 11:21

Tweede kol.

HFST. 48

a Ge 41:50
Jos 14:4b Ge 28:13,19
Ho 12:4

c Ge 35:10,11

d Ge 28:13,14

e Jos 14:4
1Kr 5:1

f Ge 35:23

g Jos 13:29
Jos 16:5

h Ge 35:19

i Mi 5:2

j 1Sa 17:12
Mt 2:6

k Ge 41:50

l Heb 11:21

m Ge 37:34,35
Ge 42:36
Ge 46:30

en E’fraim, saam met hom geneem.^a **2** En daar is vir Jakob gesê: “U seun Josef het na u toe gekom.” Israel het dus sy kragte ingespan en regop op sy bed gesit. **3** En Jakob het vir Josef gesê:

“God die Almagtige het by Lus in die land Kanaän aan my verskyn en my geseën.^b **4** Hy het vir my gesê: ‘Ek sal jou vrugbaar maak, en ek sal jou baie maak, en ek sal jou ’n versameling van volke laat word,^c en ek sal hierdie land as ’n permanente besitting aan jou nageslag* gee.’^d **5** Jou twee seuns wat in Egipte vir jou gebore is voordat ek hier by jou in Egipte gekom het, is myne.^e E’fraim en Manas’se sal myne word, net soos Ruben en Si’meon myne is.^f

6 Maar die kinders wat ná hulle vir jou gebore sal word, sal joune wees. Hulle sal ’n deel van die land kry wat hulle broers as ’n erfdeel sal ontvang.^g **7** Toe ek van Paddan af gekom het, het Ragel aan my sy in die land Kanaän gesterf,^h toe ons nog ’n goeie ent van Efrat af was. Ek het haar dus daar op pad na Efrat,ⁱ dit wil sê Betlehem,^j begrawe.”

8 Toe het Israel Josef se seuns gesien en gevra: “Wie is hulle?” **9** Josef het vir sy pa gesê: “Dit is my seuns wat God my in hierdie plek gegee het.”^k Toe het hy gesê: “Bring hulle asseblief na my toe sodat ek hulle kan seën.”^l **10** En Israel se oë was swak van die ouderdom, en hy kon nie meer sien nie. Josef het hulle dus nader aan hom gebring, en hy het hulle gesoen en hulle omhels. **11** Israel het vir Josef gesê: “Ek het nooit gedink dat ek jou gesig sou sien nie,^m maar hier het God my selfs jou

47:30 *Lett. “by my vaders gaan lê”.

48:4 *Lett. “saad”.

nageslag* laat sien.” **12** Josef het hulle toe van Israel se knieë wegge neem, en hy het neergebuig met sy gesig na die grond toe.

13 Josef het hulle twee toe geneem, E'fraim^a met sy regterhand na Israel se linkerkant en Manas'se^b met sy linkerkant na Israel se regterkant, en hy het hulle nader aan hom gebring. **14** Maar Israel het sy regterhand uitgesteek en dit op E'fraim se kop gesit, hoewel hy die jongste was, en hy het sy linkerkant op Manas'se se kop gesit. Hy het sy hande doelbewus so gesit, al was Manas'se die eersgeborene.^c **15** Toe het hy Josef geseën en gesê:^d

“Die ware God wat my vaders Abraham en Isak gedien het,^e

die ware God wat my gedurende my hele lewe tot vandag toe soos 'n herder gelei het,^f

16 die engel wat my uit alle ramspoed verlos het,^g seën die seuns.^h

Laat my naam en die naam van my vaders Abraham en Isak deur middel van hulle voortleef.*

Laat hulle 'n groot skare op die aarde word.”ⁱ

17 Toe Josef sien dat sy pa sy regterhand op E'fraim se kop laat rus, het hy nie daarvan gehou nie, en daarom het hy sy pa se hand probeer skuif van E'fraim se kop na Manas'se se kop. **18** Josef het dus vir sy pa gesê: “Nie so nie, Pa, want hý is die eersgeborene./ Sit Pa se regterhand op sy kop.” **19** Maar sy pa het bly weier en gesê: “Ek weet dit, my seun, ek weet

48:11, 19 *Lett. “saad”. 48:16 *Lett. “oor hulle uitgeroep word”.

HFST. 48

a Ge 41:52

b Ge 41:51

c Ge 41:51
Ge 46:20

d 1Kr 5:2

e Ge 17:1
Ge 24:40

f Ge 28:13
Ps 23:1

g Ge 28:15
Ge 31:11
Ps 34:7

h Ge 32:26

i Eks 1:7
Nu 26:34, 37

j Ge 41:51

Tweede kol.

a Nu 2:18-21

b Nu 1:32, 33

c Heb 11:21

d Ge 50:24

e Ge 15:14
Ge 26:3
De 31:8

HFST. 49

f De 33:6

g Ge 29:32
Eks 6:14
1Kr 5:1

h Ge 35:22

i Ge 29:33, 34
Ge 35:23

j Ge 34:25

dit. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word. Maar sy jongste broer sal nietemin groter as hy word,^a en sy nageslag* sal genoeg wees om hele nasies te vorm.”^b **20** Hy het dus voortgegaan om hulle op daardie dag te seën^c en gesê:

“Laat Israel julle name noem wanneer hulle seëninge uitspreek en sê:

‘Mag God jou soos E'fraim en soos Manas'se maak.’”

So het hy E'fraim voor Manas'se bly stel.

21 Daarna het Israel vir Josef gesê: “Kyk, ek gaan sterf,^d maar God sal beslis met julle wees en julle na die land van julle voorvaders terugbring.^e **22** En ek gee aan jou een deel meer van die land as aan jou broers. Dit is die land wat ek met my swaard en my boog uit die hand van die Amoriëte geneem het.”

49 En Jakob het sy seuns geroep en gesê: “Kom staan hier sodat ek vir julle kan sê wat aan die einde van die dae met julle sal gebeur. **2** Kom staan hier en luister, o seuns van Jakob, ja, luister na Israel, julle pa.

3 “Ruben,^f jy is my eersgeborene,^g my krag en die begin van my voortplantingsvermoë, groot in waardigheid en in krag. **4** Maar jy sal nie groot wees nie, want met roekeloosheid soos onstuimige waters het jy op die bed van jou pa geklim.^h Toe het jy my bed onrein gemaak. Hy het sowaar daarop geklim!

5 “Si'meon en Levi is broers.ⁱ Hulle wapens is instrumente van geweld.^j **6** Moenie in hulle geselskap kom nie, o my siel.* Moenie by hulle groep aansluit

49:6 *Sien Woordelys.

nie, o my eer,* want in hulle woede het hulle manne doodgemaak,^a en vir die plesier het hulle diere vermink. **7** Mag hulle woede vervloek wees, want dit is wreed, en ook hulle humeur, want dit is intens.^b Laat ek hulle in Jakob versprei, en laat ek hulle in Israel verstrooi.^c

8 "Wat jou betref, Juda,^d jou broers sal jou prys.^e Jy sal jou vyande onderwerp.^f Die seuns van jou vader sal voor jou neerbuig.^g **9** Juda is 'n leeuwelpie.^h Van die prooi af, my seun, sal jy beslis opstaan. Hy het gaan lê en hom soos 'n leeu uitgestrek, en wie sal dit waag om 'n leeu wakker te maak? **10** Die septer sal nie van Juda weggenem word nie,ⁱ en die staf van 'n bevelvoerder sal tussen sy voete bly, totdat Silo* kom,^j en aan hom sal die gehoorsaamheid van die volke behoort.^k **11** Hy sal sy donkie aan 'n wingerdstok vasmaak, en die vul van sy donkie aan die beste wingerdstok. Hy sal sy klere in wyn was, en sy kleed in die bloed van druiewe. **12** Donkerrooi is sy oë van die wyn, en sy tande is wit van die melk.

13 "Se'bulon^l sal by die strand woon, by die strand waar die skepe geanker lê,^m en sy verste grens sal in die rigting van Sidon wees.ⁿ

14 "Is'saskar^o is 'n sterkgeboude donkie, wat tussen die twee saalsakke lê. **15** En hy sal sien dat die rusplek goed is en dat die land lieflik is. Hy sal sy skouer buig om laste te dra, en hy sal gedwing word om soos 'n slaaf swaar werk te doen.

49:6 *Of moontlik "gesindheid". **49:8** *Lett. "Jou hand sal op die nek van jou vyande wees". **49:10** *Betekens "hy wie s'n dit is; hy aan wie dit behoort".

HFST. 49

- a Ge 34:7
b Ge 34:25
c Jos 19:1
Jos 21:41
d Ge 29:35
De 33:7
e Ge 43:8, 9
Ge 46:28
1Kr 5:2
f Rig 1:2
g Nu 10:14
2Sa 5:3
h Op 5:5
i Nu 24:17
2Sa 2:4
2Sa 7:16, 17
j Jes 9:6
Ese 21:27
Lu 1:32
Heb 7:14
k Ps 2:8
Jes 11:10
Mt 2:6
l De 33:18, 19
m Mt 4:13
n Jos 19:10
o De 33:18
1Kr 7:5

Tweede kol.

- a De 33:22
b Rig 13:2, 24
Rig 15:20
c Rig 14:19
Rig 15:15
d De 33:20
e Jos 13:8
f De 33:24
g 1Kn 4:7, 16
h De 33:23
i Mt 4:13, 15
j De 33:13-17
k Ge 37:5, 8
Ge 40:15
l Ge 50:20

m Jos 1:1, 6
Rig 11:32

n De 33:13

o Jos 17:14

p De 33:16

16 "Dan^a sal as een van die stamme van Israel sy volk rig.^b **17** Laat Dan 'n slang langs die pad wees, 'n horingslang langs die weg, wat die hakskene van die perd byt sodat die ruiter agteroor val.^c **18** Ek sal wag op redding van u, o Jehovah.

19 "Gad^d sal deur 'n rowerbende oorval word, maar hy sal hulle van agter af aanval.^e

20 "Aser^f sal oorgenoeg kos hê,* en hy sal voedsel voorsien wat goed genoeg is vir 'n koning.^g

21 "Naf'tali^h is 'n skraal takbokooi. Sy woorde is aange-naam.ⁱ

22 "Josef^j is die jong takkie van 'n vrugdraende boom, 'n vrugdraende boom by 'n fontein. Sy takke strek oor die muur. **23** Maar die boogskutters het hom bly aanval. Hulle het op hom geskiet en was heeldyd vyandig teenoor hom.^k

24 En tog het sy boog in plek gebly,^l en sy hande het sterk en vinnig gebly.^m Dit was danksy die hande van die magtige van Jakob, van die herder, die rots van Israel. **25** Hy* kom van die God van jou vader af, wat jou sal help. Hy is by die Almagtige, wat jou sal seën met die seëninge van die hemel daar bo, met die seëninge van die diepte daar onder,ⁿ met die seëninge van die borste en die baarmoeder. **26** Die seëninge van jou vader sal beter wees as die seëninge van die ewige berge, as die begeerlike dinge van die ewige heuwels.^o Josef sal altyd hierdie seëninge hê* as die een wat onder sy broers uitgesonder is.^p

49:20 *Lett. "Aser se brood sal vet wees". **49:25** *D.w.s. Josef. **49:26** *Lett. "Hulle sal op die kop van Josef bly".

27 "Benjamin^a sal bly ver-skeur soos 'n wolf.^b In die og-gend sal hy die prooi eet, en in die aand sal hy buit verdeel."^c

28 Dit is die 12 stamme van Israel, en dit is wat hulle pa vir hulle gesê het toe hy hulle ge-seën het. Hy het hulle elkeen 'n gepaste seën gegee.^d

29 Daarna het hy hulle die volgende bevele gegee: "Ek gaan binnekort sterf.^{*e} Begrawe my by my vaders in die grot wat in die veld van Efron, die Hetiet, is,^f 30 die grot wat in die veld van Magpe'la voor Mamre in die land Kanaän is, die veld wat Abraham by Efron, die Hetiet, gekoop het sodat hy sy mense daar kon begrawe. 31 Daar het hulle Abraham en sy vrou Sara begrawe.^g Daar het hulle Isak^h en sy vrou Rebekka be-grawe, en daar het ek Lea be-grawe. 32 Die veld en die grot daarin is by die seuns van Het gekoop."ⁱ

33 Nadat Jakob hierdie in-struksies aan sy seuns gegee het, het hy op die bed gaan lê en sy laaste asem uitgeblaas, en hy is tot sy volk versamel.^{*j}

50 Josef het toe oor sy pa gebuk^k en gehuil en hom gesoen. 2 Daarna het Josef sy knegte, die geneeshere, beveel om sy pa te balsem.^l Toe het die geneeshere Israel gebalsem, 3 en hulle het die volle 40 dae vir hom gebruik, want dit is die volle periode vir die balseming, en die Egiptenare het 70 dae lank oor hom gehuil.

4 Toe die routyd vir hom ver-by was, het Josef met Farao se hof^{*} gepraat en gesê: "Sal jul-le asseblief hierdie boodskap

49:29 *Lett. "Ek word tot my volk ver-samel". 49:33 *'n Poëtiese uitdruk-king wat na die dood verwys. 50:4 *Of "huishouding".

HFST. 49

a De 33:12

b Rig 20:15, 16
1Sa 9:16

c Est 2:5
Est 8:7

d Heb 11:21

e Ge 35:29
Ge 49:33

f Ge 23:17, 18

g Ge 23:2, 19
Ge 25:9, 10

h Ge 35:29

i Ge 23:17, 18

j Han 7:15

HFST. 50

k Ge 46:4

l Ge 50:26

Tweede kol.

a Ge 47:29-31

b Ge 48:21

c Ge 46:4
Ge 47:29

d Ge 23:17, 18
Ge 49:29, 30

e Ge 47:31

f Ps 105:21, 22

g Ge 46:27

h Ge 41:43
Ge 46:29

i Ge 47:29

j Ge 23:17, 18
Ge 25:9, 10
Ge 35:27
Ge 49:29, 30

vir Farao gee: 5 'My pa het my laat sweer^a en gesê: "Kyk, ek gaan sterf.^b Jy moet my in my graf begrawe,^c wat ek in die land Kanaän uitgegrawe het."^d Laat my nou asseblief gaan en my pa begrawe, en daarna sal ek terugkom."^e 6 Farao het ge-antwoord: "Gaan en begrawe jou pa net soos hy jou laat sweer het."^e

7 Toe het Josef gegaan om sy pa te begrawe, en al Farao se knegte het saam met hom ge-gaan, die ouermanne^f van sy hof en al die ouermanne van Egipte 8 en Josef se hele huishouding en sy broers en sy pa se huis-houding.^g Hulle het net hulle kindertjies en hulle kleinvee en hulle beeste in die land Gosen agtergelaat. 9 Strydwaens^h en perderuiters het ook saam met hom gegaan, en die kamp was baie groot. 10 Toe het hulle by die dorsvloer van Atad ge-kom, wat in die Jordaanstreek is, en daar het hulle bitterlik ge-treur, en hy het sewe dae lank oor sy pa getreur. 11 Die in-woners van die land, die Kanaä-niete, het hulle by die dorsvloer van Atad sien treur, en hulle het uitgeroep: "Die Egiptenare treur bitterlik!" Daarom is daardie plek, wat in die Jordaan-streek is, Abel-Misra'im^{*} ge-noem.

12 Sy seuns het toe vir hom gedoen presies soos hy hulle be-veel het.ⁱ 13 Sy seuns het hom na die land Kanaän geneem en hom begrawe in die grot van die veld van Magpe'la, voor Mamre, die veld wat Abraham by Efron, die Hetiet, gekoop het sodat hy sy mense daar kon begrawe.^j 14 Nadat Josef sy pa begrawe het, het hy na Egipte terugge-

50:11 * Beteken "getreur van die Egiptenare".

keer saam met sy broers en almal wat saam met hom gegaan het om sy pa te begrawe.

15 Nā hulle pa se dood het Josef se broers gesê: “Miskien het Josef nog iets teen ons en sal hy ons terugbetaal vir al die slegte dinge wat ons aan hom gedoen het.”^a **16** Daarom het hulle die volgende boodskap aan Josef gestuur: “U pa het voor sy dood hierdie bevel gegee: **17** ‘Dit is wat julle vir Josef moet sê: “Ek smee jou, vergewe asseblief die oortreding van jou broers en die sonde wat hulle gepleeg het deur jou hierdie onreg aan te doen.”’ Vergewe nou asseblief die oortreding van die knegte van die God van u pa.” En Josef het gehuil toe hulle met hom praat. **18** Toe het sy broers ook gekom en voor hom neergebuig en gesê: “Kyk, ons is soos slawe vir u!”^b **19** Josef het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie. Is ek in die plek van God? **20** Julle wou my kwaad aandoen,^c maar God wou hê dat dit ’n goeie uiteinde moet hê en wou baie mense se lewens spaar, soos hy vandag doen.”^d **21** Moet dan

HFST. 50

a Ge 37:18, 28
Ge 42:21
Ps 105:17

b Ge 37:7, 9

c Ge 37:18

d Ge 45:5
Ps 105:17

Tweede kol.

a Ge 47:12

b 1Kr 7:20

c Jos 17:1
1Kr 7:14

d Eks 4:31

e Ge 12:7
Ge 17:8
Ge 26:3
Ge 28:13

f Eks 13:19
Jos 24:32
Heb 11:22

g Ge 50:2

nou nie bang wees nie. Ek sal aanhou om kos aan julle en julle kindertjies te voorsien.”^a So het hy hulle vertrous en hulle gerusstel.

22 En Josef het in Egipte gewoon, hy en die huishouding van sy pa, en Josef het 110 jaar lank gelewe. **23** Josef het die derde geslag van E’fraim se kinders gesien,^b sowel as die kinders van Magir,^c Manas’se se seun. Hulle was vir Josef soos sy eie kinders.* **24** Uiteindelik het Josef vir sy broers gesê: “Ek gaan sterf, maar God sal vir seker aan julle dink,^d en hy sal julle beslis uit hierdie land uitbring na die land wat hy aan Abraham, aan Isak en aan Jakob met ’n eed belowe het.”^e **25** Josef het die seuns van Israel dus laat sweer en gesê: “God sal vir seker aan julle dink. Julle moet my liggaam* hiervandaan wegneem.”^f **26** En Josef het gesterf toe hy 110 jaar oud was, en hulle het hom laat balsem,^g en hy is in Egipte in ’n doods kis gesit.

50:23 *Lett. “Hulle is op Josef se knieë gebore”. **50:25** *Lett. “beendere”.

EKSODUS

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Israëliete vermeerder in Egipte (1-7)
Farao onderdruk die Israëliete (8-14)
Godvresende vroedvrou red lewens (15-22)</p> <p>2 Geboorte van Moses (1-4)
Farao se dogter neem Moses aan (5-10)
Moses vlug na Midian en trou met Sippora (11-22)
God hoor hoe Israëliete kla (23-25)</p> | <p>3 Moses en brandende doringbos (1-12)
Jehovah verduidelik wat Sy naam beteken (13-15)
Jehovah gee instruksies aan Moses (16-22)</p> <p>4 Drie tekens wat Moses moet doen (1-9)
Moses voel nie bekwaam nie (10-17)
Moses keer terug na Egipte (18-26)</p> |
|--|---|

- Moses en Aäron sien mekaar
weer (27-31)
- 5 Moses en Aäron voor Farao (1-5)
Onderdrukking word erger (6-18)
Israel blameer Moses en Aäron (19-23)
- 6 Belofte van verlossing herhaal (1-13)
Jehovah se naam nie heeltemal
geopenbaar nie (2, 3)
Geslagslyn van Moses en Aäron (14-27)
Moses moet weer voor Farao
verskyn (28-30)
- 7 Jehovah versterk Moses (1-7)
Aäron se staf word groot slang (8-13)
Plaa 1: water in bloed verander (14-25)
- 8 Plaa 2: paddas (1-15)
Plaa 3: muggies (16-19)
Plaa 4: steekvlieë (20-32)
Gosen nie getref nie (22, 23)
- 9 Plaa 5: vee gaan dood (1-7)
Plaa 6: swere op mens en dier (8-12)
Plaa 7: hael (13-35)
Farao sal God se krag sien (16)
Jehovah se naam sal bekend
gemaak word (16)
- 10 Plaa 8: sprinkane (1-20)
Plaa 9: duisternis (21-29)
- 11 Tiende plaag aangekondig (1-10)
Israëliete moet vir geskenke vra (2)
- 12 Pasga ingestel (1-28)
Bloed moet op deurposte gespat
word (7)
Plaa 10: eersgeborenes
doodgemaak (29-32)
Israëliete verlaat Egipte (33-42)
Einde van 430 jaar (40, 41)
Instruksies oor wie Pasga mag
eet (43-51)
- 13 Elke manlike eersgeborene behoort
aan Jehovah (1, 2)
Fees van Ongesuurde Brode (3-10)
Elke manlike eersgeborene aan God
gewy (11-16)
Israel na Rooisee gelei (17-20)
Wolkkolom en vuurkolom (21, 22)
- 14 Israel kom by die see aan (1-4)
Farao sit Israel agterna (5-14)
- Israel trek deur Rooisee (15-25)
Egiptenare verdrink in die see (26-28)
Israel stel geloof in Jehovah (29-31)
- 15 Moses en Israel se
oorwinningslied (1-19)
Mirjam sing in antwoord op manne
se lied (20, 21)
Bitter water soet gemaak (22-27)
- 16 Volk kla oor kos (1-3)
Jehovah hoor hoe volk kla (4-12)
Kwartels en manna voorsien (13-21)
Geen manna op Sabbat (22-30)
Manna bewaar as herinnering (31-36)
- 17 Volk kla oor tekort aan water
by Horeb (1-4)
Water uit rots (5-7)
Amalekiete val aan en word
verslaan (8-16)
- 18 Jetro en Sippora se aankoms (1-12)
Jetro se raad om regters aan
te stel (13-27)
- 19 By berg Sinai (1-25)
Israel sal koninkryk van priesters
wees (5, 6)
Volk geheilig om God te
ontmoet (14, 15)
- 20 Die Tien Gebooie (1-17)
Verskynsels maak Israel bang (18-21)
Instruksies oor aanbidding (22-26)
- 21 Regterlike bevel vir Israel (1-36)
Oor Hebreuse slawe (2-11)
Oor geweld teenoor
medemens (12-27)
Oor diere (28-36)
- 22 Regterlike bevel vir Israel (1-31)
Oor diefstal (1-4)
Oor skade aan oes (5, 6)
Oor vergoeding en eenaarskap (7-15)
Oor 'n maagd wat verlei is (16, 17)
Oor aanbidding en maatskaplike
geregtigheid (18-31)
- 23 Regterlike bevel vir Israel (1-19)
Oor eerlike en regverdige
optrede (1-9)
Oor sabbatte en feeste (10-19)
Engel om Israel te lei (20-26)
Verowering en grense van land (27-33)

- 24 Volk stem in om verbond te hou (1-11)
Moses op berg Sinai (12-18)
- 25 Bydraes vir tabernakel (1-9)
Die Ark (10-22)
Die tafel (23-30)
Die lampstaander (31-40)
- 26 Die tabernakel (1-37)
Die tentdoeke (1-14)
Paneelrame en voetstukke (15-30)
Die gordyn en die skerm (31-37)
- 27 Die brandofferaltaar (1-8)
Die voorhof (9-19)
Olie vir lampstaander (20, 21)
- 28 Priesterlike klere (1-5)
Die efod (6-14)
Die borsstuk (15-30)
Urim en Tummim (30)
Die moulose oorkleed (31-35)
Die tulband met die goue plaat (36-39)
Ander priesterlike klere (40-43)
- 29 Inhuldiging van priesters (1-37)
Die daaglikse offer (38-46)
- 30 Reukwerkaltaar (1-10)
Sensus en geld vir versoening (11-16)
Koperkom (17-21)
Spesiale mengsel vir salfolie (22-33)
Resep vir heilige reukwerk (34-38)
- 31 Vakmanne met God se gees gevul (1-11)
Sabbat, 'n teken tussen God en Israel (12-17)
Die twee kliptablette (18)
- 32 Aanbidding van goue kalf (1-35)
Moses hoor vreemde singery (17, 18)
Moses gooi kliptablette stukkend (19)
Lewiete lojaal aan Jehovah (26-29)
- 33 God se boodskap van teregwysing (1-6)
Tent van samekoms buite kamp (7-11)
Moses vra om Jehovah se heerlikheid te sien (12-23)
- 34 Nuwe kliptablette gemaak (1-4)
Moses sien Jehovah se heerlikheid (5-9)
Besonderhede van verbond herhaal (10-28)
Moses se gesig straal lig uit (29-35)
- 35 Instruksies oor Sabbat (1-3)
Bydraes vir tabernakel (4-29)
Besaleël en Oholiab met gees gevul (30-35)
- 36 Bydraes oorgenoeg (1-7)
Bou van tabernakel (8-38)
- 37 Die Ark word gemaak (1-9)
Die tafel (10-16)
Die lampstaander (17-24)
Die reukwerkaltaar (25-29)
- 38 Die brandofferaltaar (1-7)
Die koperkom (8)
Die voorhof (9-20)
Verslag van materiale vir tabernakel (21-31)
- 39 Priesterlike klere word gemaak (1)
Die efod (2-7)
Die borsstuk (8-21)
Die moulose oorkleed (22-26)
Ander priesterlike klere (27-29)
Die goue plaat (30, 31)
Moses ondersoek tabernakel (32-43)
- 40 Tabernakel word opgerig (1-33)
Jehovah se heerlikheid vul tabernakel (34-38)

1 En dit is die name van Israel se seuns wat saam met Jakob na Egipte gekom het, elke man wat saam met sy huisgesin gekom het:^a **2** Ruben, Simeon, Levi, Juda,^b **3** Is'saskar, Se'bulon, Benjamin, **4** Dan, Naf'tali, Gad en Aser.^c **5** Jakob

HFST. 1

a Ge 46:8
b 1Kr 2:3, 4
c Ge 46:17

Tweede kol.

a Ge 46:26
De 10:22
Han 7:14
b Ge 50:26

het altesaam 70 nakomelinge gehad, maar Josef was reeds in Egipte.^a **6** Uiteindelik het Josef gesterf,^b en al sy broers en daardie hele geslag het ook gesterf. **7** En die Israeliete het kinders gehad en baie vermeerder, en hulle het baie geword en

buitengewoon vinnig magtiger geword, en die land het vol van hulle geword.^a

8 Nā verloop van tyd het 'n nuwe koning oor Egipte begin regeer, wat niks van Josef geweet het nie. **9** Toe het hy vir sy volk gesê: “Die volk Israel is groter en magtiger as ons.^b **10** Ons moet verstandig wees en iets doen, want anders sal hulle aanhou vermeerder. As daar oorlog uitbreek, sal hulle by ons vyande aansluit en teen ons veg en die land verlaat.”

11 Toe het hulle toesighouers* oor hulle aangestel om hulle te onderdruk deur hulle baie hard te laat werk.^c En hulle het stede vir Farao gebou waar hy voorraad kon stoor, naamlik Pitom en Raāmses.^d **12** Maar hoe meer hulle hulle onderdruk het, hoe meer het hulle vermeerder en hoe meer het hulle versprei. Daarom het die Egiptenare baie bang geword as gevolg van die Israeliete.^e **13** Die Egiptenare het die Israeliete dus gedwing om harde slawewerk^f te doen. **14** Hulle het hulle lewe moeilik maak deur hulle baie hard te laat werk. Hulle het hulle messelklei en stene laat maak en het hulle baie hard in die veld laat werk. Die Egiptenare het hulle mishandel en het hulle allerhande slawewerk^g laat doen.

15 Later het die koning van Egipte met die Hebreëuse vroedvroue Sifra en Pua gepraat **16** en vir hulle gesê: “Wanneer julle die Hebreëuse vrouens help om geboorte te gee^h en julle sien dat dit 'n seuntjie is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogtertjie is, moet julle haar laat lewe.” **17** Maar die vroedvroue

HFST. 1

a Ge 46:3
De 26:5
Han 7:17-19

b Ps 105:24, 25

c Ge 15:13
Eks 3:7
Nu 20:15
De 26:6

d Ge 47:11

e Eks 1:7
Ps 105:24, 25

f Eks 2:23
Han 7:6

g Le 26:13

h Ese 16:4

Tweede kol.

a Ge 9:5, 6

b Han 7:18, 19

HFST. 2

c Eks 6:20
Nu 26:59

d Han 7:20
Heb 11:23

e Han 7:18, 19

f Eks 15:20
1Kr 6:3
Mi 6:4

het die ware God gevrees, en hulle het nie gedoen wat die koning van Egipte vir hulle gesê het om te doen nie. Hulle het die seuntjies laat lewe.^a **18** Nā verloop van tyd het die koning van Egipte die vroedvroue groep en vir hulle gevra: “Hoe kom het julle die seuntjies laat lewe?” **19** Die vroedvroue het vir Farao gesê: “Die Hebreëuse vrouens is nie soos die Egiptiese vrouens nie. Hulle is so sterk dat hulle al klaar geboorte gegee het nog voordat die vroedvrou by hulle kom.”

20 Daarom het God dit goed laat gaan met die vroedvroue, en die volk het aangehou om te vermeerder en het baie magtig geword. **21** En omdat die vroedvroue die ware God gevrees het, het hy later vir hulle gesinne gegee. **22** Uiteindelik het Farao sy hele volk beveel: “Julle moet al die pasgebore seuntjies van die Hebreërs in die Nylrivier gooi, maar julle moet al die dogtertjies laat lewe.”^b

2 In daardie tyd het 'n man van die huis van Levi met 'n dogter van Levi getrou.^c **2** En die vrou het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Toe sy sien hoe mooi hy is, het sy hom drie maande lank weggesteek.^d **3** Toe sy hom nie langer kon wegsteek nie,^e het sy 'n mandjie* van papyrus geneem en dit met asfalt en pik bedek en die kind daarin gesit, en sy het dit tussen die riete aan die oewer van die Nylrivier gesit. **4** Sy suster^f het op 'n afstand gestaan om te sien wat met hom sou gebeur.

5 Toe Farao se dogter afgekom het om in die Nylrivier te bad, het haar diensmeisies

1:11 *Of “hoofde van dwangarbeid”.

2:3 *Of “ark; kis”.

langs die Nylrivier geloop. Sy het die mandjie tussen die riete gesien en haar slavin onmiddellik gestuur om dit te gaan haal.^a

6 Toe sy dit oopmaak, het sy die kind gesien. Die seuntjie het gehuil, en sy het vir hom jammer gevoel, maar sy het gesê: "Dit is een van die Hebreërs se kinders." **7** Toe het sy suster vir Farao se dogter gevra: "Moet ek 'n Hebreëuse vrou gaan roep om die kind vir u te borsvoed en te versorg?" **8** Farao se dogter het vir haar gesê: "Gaan!" Die meisie het dadelik die kind se ma^b gaan roep. **9** Farao se dogter het toe vir haar gesê: "Neem hierdie kind saam met jou en borsvoed hom vir my, en ek sal jou betaal." Die vrou het die kind dus geneem en hom geborsvoed. **10** Toe die kind ouer geword het, het sy hom na Farao se dogter gebring, en hy het vir haar 'n seun geword.^c Sy het hom Moses* genoem en gesê: "Dit is omdat ek hom uit die water getrek het."^d

11 Toe Moses groot was, het hy op 'n dag na sy Hebreëuse broers gegaan. Hy het gesien hoe hard hulle moes werk,^e en hy het ook gesien hoe 'n Egiptenaar een van sy Hebreëuse broers slaan. **12** Hy het rondgekyk, en toe hy niemand sien nie, het hy die Egiptenaar doodgemaak en hom in die sand weggesteek.^f

13 Toe hy die volgende dag uitgegaan het, het hy twee Hebreëuse mans met mekaar sien baklei. Hy het vir die een wat verkeerd was, gevra: "Hoekom slaan jy jou vriend?"^g **14** Die man het geantwoord: "Wie het jou as leier en regter oor ons aangestel? Is jy van plan om my dood te maak, net soos jy die

2:10 *Beteken "uitgetrek", d.w.s. uit die water gered.

HFST. 2

a Han 7:21

b Eks 6:20

c Heb 11:24, 25

d Han 7:21

e Eks 1:11
Eks 3:7
Han 7:23

f Han 7:24

g Han 7:26

Tweede kol.

a Han 7:27, 28

b Ge 25:1, 2
Eks 3:1
Eks 4:19

c Eks 18:12

d Eks 4:18
Eks 18:1
Nu 10:29

e Han 7:22

f Eks 18:2-4
Nu 12:1

g 1Kr 23:15

h Han 7:29

i Eks 7:7
Han 7:30

Egiptenaar doodgemaak het?"^a Moses het toe bang geword en gesê: "Die saak het beslis bekend geword!"

15 Later het Farao hiervan gehoor, en hy het Moses probeer doodmaak, maar Moses het van Farao af na die land Mi'dian^b gevlug om daar te gaan woon. Daar het hy by 'n put gaan sit. **16** En die priester van Mi'dian^c het sewe dogters gehad. Hulle het gekom om water te skep en om die drinkbakke vol te maak sodat hulle hulle pa se kleinvee water kon gee. **17** Maar soos gewoonlik het die herders gekom en hulle weggejaag. Moses het opgestaan en die vrouens gehelp^d en hulle kleinvee water gegee. **18** Toe hulle by die huis kom by hulle pa, Re'huel,^{*d} het hy verbaas gevra: "Hoe het julle vandag so gou huis toe gekom?" **19** Hulle het geantwoord: "'n Egiptenaar^e het ons van die herders gered, en hy het selfs vir ons water geskep en die kleinvee water gegee." **20** Hy het vir sy dogters gesê: "Maar waar is hy? Hoekom het julle die man nie saamgebring nie? Roep hom sodat hy saam met ons kan eet." **21** Daarna het Moses ingestem om by die man te woon, en hy het sy dogter Sippo'ra^f aan Moses as vrou gegee. **22** Later het sy aan 'n seun geboorte gegee, en hy het hom Gersom^{*g} genoem, want hy het gesê: "Ek het 'n uitlander in 'n vreemde land geword."^h

23 Ná 'n lang tyd het die koning van Egipte gesterf,ⁱ maar die Israëliete was nog steeds slawe en het gesug en gekla as gevolg van die slawerny, en

2:17 *Of "verdedig". 2:18 *D.w.s. Jetro. 2:22 *Beteken "'n uitlander daar".

hulle geroep om hulp het tot die ware God bly opgaan.^a **24** Met verloop van tyd het God gehoor hoe hulle sug,^b en God het aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink.^c **25** God het gesien hoe die Israeliete ly en het aandag geskenk aan hulle situasie.

3 Moses het 'n herder ge-word en die kleinvee van sy skoonpa Jetro,^d die priester van Mi'dian, opgepas. Op 'n dag het hy die kleinvee na die westekant van die wildernis gelei en gekom van die berg van die ware God, by Horeb.^e **2** Toe het Jehovah se engel in 'n vuurvlam in 'n doringbos aan hom verskyn.^f Terwyl hy bly kyk het, het hy gesien dat die doringbos aan die brand is, en tog het die doringbos nie uitgebrand nie. **3** Moses het toe gesê: "Dit is vreemd dat die doringbos nie uitbrand nie. Ek wil gaan kyk wat daar aangaan." **4** Toe Jehovah sien dat hy nader kom om te kyk, het God vanuit die doringbos na hom geroep en gesê: "Moses! Moses!" En hy het gesê: "Hier is ek." **5** Toe het hy gesê: "Moenie nog nader kom nie. Trek jou sandale uit, want jy staan op heilige grond."

6 Hy het verder gesê: "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham,^g die God van Isak^h en die God van Jakob."ⁱ Toe het Moses sy gesig toege-maak, want hy was bang om na die ware God te kyk. **7** Jehovah het bygevoeg: "Ek het gesien hoe swaar my volk in Egipte kry, en ek het gehoor hoe hulle uitroep as gevolg van dié wat hulle dwing om te werk. Ek is bewus van hoe hulle ly.^j **8** Ek sal neerdaal om hulle uit die hand van die Egiptenare te red^k en om hulle uit daardie land te lei na 'n goeie en uit-

HFST. 2

- a Eks 3:7
1Kn 8:51
b Han 7:34
c Ge 15:13, 14
Eks 6:5
Nu 20:15, 16

HFST. 3

- d Eks 2:16
Eks 18:1
e Eks 24:12, 13
1Kn 19:8, 9
f Han 7:30-34
g Ge 17:1, 7
h Ge 26:24
i Ge 28:13
Ge 32:9
Mt 22:32
Han 7:32
j Eks 1:11
Jes 63:9
Han 7:34
k Eks 12:51

Tweede kol.

- a Nu 13:26, 27
De 27:3
b Ge 10:15-17
Eks 33:1, 2
De 7:1
Jos 3:10
Ne 9:7, 8
c Eks 1:11
d Ps 105:26, 38
Han 7:34
e De 31:23
Jos 1:5
Jes 41:10
Ro 8:31
Flp 4:13
f Eks 19:2
De 4:11, 12
g Eks 15:3
Ps 96:8
Ps 135:13
Ho 12:5
Joh 17:26
Ro 10:13
h Job 23:13
Jes 14:27
Joh 12:28
i Eks 6:3, 7
Ro 9:17
j Ge 17:1, 7
k Ge 26:24
l Ge 28:13
Mt 22:32
m Ps 135:13

gestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning,^a die gebied van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete, die Perri-siete, die Hewiete en die Jebusiete.^b **9** Kyk, ek het die uitroep van die Israeliete gehoor, en ek het ook gesien hoe die Egiptenare hulle onderdruk.^c **10** Daarom sal ek jou na Farao toe stuur, en jy sal my volk, die Israeliete, uit Egipte uitlei."^d

11 Maar Moses het vir die ware God gesê: "Wie is ek om na Farao toe te gaan en die Israeliete uit Egipte uit te lei?" **12** Hy het gesê: "Ek sal met jou wees,^e en dié sal vir jou die teken wees dat ek jou gestuur het: Nadat jy die volk uit Egipte uitlei het, sal julle die ware God op hierdie berg^f dien."^g

13 Maar Moses het vir die ware God gesê: "Sê nou ek gaan na die Israeliete en sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra my: 'Wat is sy naam?'^g Wat moet ek vir hulle sê?" **14** God het vir Moses gesê: "Ek sal word wat ek besluit om te word."^h En hy het bygevoeg: "Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê: 'Ek sal word' het my na julle toe gestuur."ⁱ **15** Toe het God verder vir Moses gesê:

"Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê: 'Jehovah, die God van julle voorvaders, die God van Abraham,^j die God van Isak^k en die God van Jakob,^l het my na julle toe gestuur.' Dit is my naam vir ewig,^m en dit is hoe ek van geslag tot geslag onthou moet word. **16** Gaan nou en roep die ouermanne van Israel bymekaar en sê vir hulle: 'Jehovah, die God van julle voor-

3:12 *Of "aanbid". **3:14** *Of "Ek sal word wat ek sal word". Sien Aanh. A4.

vaders, het aan my verskyn, die God van Abraham, Isak en Jakob, en hy het gesê: "Ek het aandag geskenk aan julle^a en aan wat in Egipte aan julle gedoen word. **17** Daarom sê ek vir julle: Ek sal julle verlos van die lyding^b wat die Egiptenare oor julle bring en julle lei na die land van die Kanaäniete, die Hettiete, die Amorie,^c die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete,^d na 'n land wat oorloop van melk en heuning."^e

18 "Hulle sal beslis na jou stem luister,^f en jy en die ouerleute van Israel moet na die koning van Egipte toe gaan en vir hom sê: 'Jehovah, die God van die Hebreërs,^g het met ons gekommunikeer. Laat ons dus asseblief toe om drie dae-reise ver in die wildernis in te gaan, sodat ons offerandes aan Jehovah ons God kan bring.'^h

19 Maar ek weet goed dat die koning van Egipte julle nie toestemming sal gee om te gaan nie, tensy hy deur 'n magtige hand gedwing word.ⁱ **20** Ek sal dus my hand moet uitstrek en Egipte moet tref met al my buitengewone daede wat ek daarin sal doen, en daarna sal hy julle uitstuur.^j **21** Ek sal sorg dat die Egiptenare goed is vir hierdie volk, en wanneer julle gaan, sal julle beslis nie met leë hande gaan nie.^k **22** Elke vrou moet haar buurvrou en die vrou wat in haar huis woon vir silwervoorwerpe en goue voorwerpe sowel as klere vra, en julle moet julle seuns en julle dogters dit laat dra. So sal julle die Egiptenare stroop."^l

4 Moses het geantwoord: "Maar sê nou hulle glo my nie en luister nie na my nie?^m Want hulle sal sê: 'Jehovah het nie aan jou verskyn nie.'" **2** Toe het Jehovah vir hom ge-

HFST. 3

a Ge 50:24
Eks 13:19b Ge 15:13, 14
Le 26:13

c Ge 15:16

d Eks 23:23

e Nu 13:27
De 8:7-9

f Eks 4:31

g Ge 14:13

h Eks 5:3
Eks 10:25, 26i Eks 5:2
Eks 14:8
Ro 9:17j Eks 7:3
Eks 12:33
De 6:22k Eks 11:2
Eks 12:35, 36l Ge 15:13, 14
Eks 12:36

HFST. 4

m Eks 2:13, 14

Tweede kol.

a Eks 7:9

b Lu 20:37

c Eks 3:16
Eks 4:31

d Nu 12:10

e Han 7:36

f Eks 4:30

sê: "Wat is dit in jou hand?" Moses het geantwoord: "'n Staf." **3** Hy het gesê: "Gooi dit op die grond." Toe Moses dit op die grond gooi, het dit 'n slang geword,^a en Moses het weggehardloop van die slang af. **4** Jehovah het vir Moses gesê: "Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert." Toe het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het 'n staf in sy hand geword. **5** God het toe gesê: "Doen dit sodat hulle kan glo dat Jehovah, die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob,^b aan jou verskyn het."^c

6 Jehovah het verder vir hom gesê: "Sit asseblief jou hand in die boonste vou van jou kleed." Moses het toe sy hand in die vou van sy kleed gesit. Toe hy dit uittrek, was sy hand vol melaatsheid, so wit soos sneeu!^d **7** Daarna het hy gesê: "Sit jou hand weer in die boonste vou van jou kleed." Moses het sy hand weer in sy kleed gesit, en toe hy sy hand uittrek, was dit weer gesond soos die res van sy liggaam! **8** Hy het gesê: "As hulle jou nie wil glo nie en die eerste teken nie vir hulle genoeg is nie, sal die tweede teken^e hulle beslis oortuig. **9** Maar as hulle nie hierdie twee tekens glo nie en hulle weier om na jou stem te luister, moet jy 'n bietjie water uit die Nylrivier neem en dit op die droë grond uitgooi, en die water wat jy uit die Nylrivier neem, sal op die droë grond in bloed verander."^f

10 Moses het toe vir Jehovah gesê: "Verskoon my, Jehovah, maar ek was nog nooit 'n goeie spreker nie, nie in die verlede nie en ook nie nou, nadat u met u kneg gepraat het nie. Want ek kan nie vlot

praat nie, en my tong sukkel om te praat.”^a **11** Jehovah het vir hom gesê: “Wie het vir die mens ’n mond gemaak, of wie maak hom stom, doof, skerp-siende of blind? Is dit nie ek, Jehovah, nie? **12** Gaan dan nou, en ek sal met jou wees terwyl jy praat,* en ek sal jou vertel wat jy moet sê.”^b **13** Maar hy het gesê: “Verskoon my, Jehovah, stuur asseblief iemand anders, net wie u wil.” **14** Toe het Jehovah kwaad geword vir Moses, en hy het gesê: “Wat van jou broer Aäron,^c die Leviet? Ek weet dat hy ’n goeie spreker is. Hy is nou op pad hierheen om jou te ontmoet, en hy sal bly wees om jou te sien.”^d **15** Praat met hom en sê vir hom wat hy moet sê,^e en ek sal met jou en met hom wees terwyl julle praat,^f en ek sal julle vertel wat julle moet doen. **16** Hy sal namens jou met die volk praat. Hy sal jou woordvoerder wees, en jy sal vir hom as God dien.*^g **17** En jy moet hierdie staf in jou hand neem en die tekens daarmee doen.”^h

18 Toe het Moses na sy skoonpa, Jetro,ⁱ teruggegaan en vir hom gesê: “Ek wil asseblief na my broers in Egipte teruggaan om te sien of hulle nog lewe.” Jetro het vir Moses gesê: “Gaan in vrede.” **19** Daarna het Jehovah vir Moses in Mi’dian gesê: “Gaan, keer terug na Egipte, want al die manne wat jou wou doodmaak,* het gesturf.”^j

20 Toe het Moses sy vrou en sy seuns op ’n donkie gesit en na Egipte teruggekeer. Hy het ook die staf van die ware God

4:10 *Lett. “ek is swaar van mond en swaar van tong”. **4:12** *Lett. “met jou mond wees”. **4:16** *Of “God se verteenwoordiger wees”. **4:19** *Of “wat jou siel gesoek het”.

HFST. 4

a Eks 6:12
Nu 12:3
Jer 1:6
Han 7:22

b Jes 50:4
Mr 13:11

c Nu 26:59

d Eks 4:27

e Eks 4:28

f Jer 1:9

g Eks 7:1, 2

h Eks 8:5
Eks 17:5, 6
Nu 20:11

i Eks 2:18, 21
Eks 18:1
Nu 10:29

j Eks 2:15

Tweede kol.

a Eks 7:9

b Eks 7:3
Eks 8:15
Eks 9:12
Eks 11:10
Ro 9:17, 18

c Eks 7:22

d De 7:6
De 14:2
Ho 11:1
Ro 9:4

e Eks 12:29

f Nu 22:22
1Kr 21:16

g Ge 17:14

h Eks 2:16, 21

i Eks 4:14

j Eks 3:1
Eks 20:18
Eks 24:16

k Eks 4:15

l Eks 4:8

m Eks 3:16
Eks 24:1

n Eks 4:3, 6, 9

o Eks 3:18

p Ge 50:25

in sy hand geneem. **21** Jehovah het toe vir Moses gesê: “Nadat jy na Egipte teruggekeer het, moet jy sorg dat jy al die wonderwerke voor Farao doen wat ek jou die krag gegee het om te doen.^a Maar ek sal toelaat dat hy hardkoppig word,^b en hy sal die volk nie wegstuur nie.^c **22** Jy moet vir Farao sê: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Israel is my seun, my eersgeborene.”^d **23** Ek sê vir jou: Stuur my seun weg sodat hy my kan dien. Maar as jy weier om hom weg te stuur, gaan ek jou seun, jou eersgeborene, doodmaak.’”^e

24 Terwyl hulle op pad oornag het, het Jehovah^f na hom toe gekom en hom probeer doodmaak.^g **25** Uiteindelik het Sippo’ra^h ’n mes van vuurklip geneem en haar seun besny en sy voorhuid aan sy voete laat raak en gesê: “Dit is omdat jy vir my ’n bloedbruidgom is.” **26** Daarom het Hy hom laat gaan. Sy het “’n bloedbruidgom” gesê as gevolg van die besnydenis.

27 Jehovah het vir Aäron gesê: “Gaan in die wildernis in om Moses te ontmoet.”ⁱ Hy het toe gegaan en hom by die berg van die ware God ontmoet^j en hom met ’n soen gegroet. **28** En Moses het vir Aäron vertel wat Jehovah alles gesê het^k en van al die tekens wat Hy hom beveel het om te doen.^l **29** Daarna het Moses en Aäron gegaan en al die oueranne van die Israeliete bymekaar laat kom.^m **30** Aäron het hulle vertel wat Jehovah alles vir Moses gesê het, en hy het die tekensⁿ voor die oë van die volk gedoen. **31** Daarna het die volk geglo.^o Toe hulle hoor dat Jehovah aan die Israeliete gedink het^p en dat

4:21 *Lett. “ek sal sy hart verhard”.

hy hulle lyding gesien het,^a het hulle op hulle knieë gegaan en neergebuig.

5 Daarna het Moses en Aäron na Farao gegaan en vir hom gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Stuur my volk weg sodat hulle in die wildernis vir my 'n fees kan vier.'" **2** Maar Farao het gesê: "Wie is Jehovah^b dat ek sy stem moet gehoorsaam en Israel moet wegstuur?^c Ek ken Jehovah glad nie, en wat meer is, ek sal Israel nie wegstuur nie."^d **3** Hulle het gesê: "Die God van die Hebreërs het met ons gekommunikeer. Ons wil asseblief drie dagreise ver in die wildernis in gaan en offerandes bring aan Jehovah ons God.^e Anders sal hy ons met siekte of met die swaard tref." **4** Die koning van Egipte het hulle geantwoord: "Moses en Aäron, hoekom hou julle die volk uit die werk? Gaan terug na julle werk toe!"^f **5** Farao het verder gesê: "Kyk hoe groot is die volk,^g en nou wil julle hê dat hulle moet ophou werk!"

6 Daardie selfde dag het Farao die taakgewers en hulle voormanne beveel: **7** "Julle moenie meer vir die volk strooi gee om stene te maak nie.^g Laat hulle self vir hulle strooi gaan bymeekaarmaak. **8** Maar hulle moet nog steeds dieselfde hoeveelheid stene maak as voorheen. Moet dit nie vir hulle verminder nie, want hulle is lui. Daarom roep hulle uit: 'Ons wil gaan, ons wil aan ons God offerandes bring!' **9** Laat hulle harder werk en hou hulle besig, sodat hulle nie aandag sal skenk aan leuens nie."

10 Toe het die taakgewers^h en hulle voormanne uitgegaan en vir die volk gesê: "Dit is wat

HFST. 4

a Eks 1:14
Eks 3:7
De 26:6

HFST. 5

b Eks 7:5
Eks 9:15, 16

c 2Kn 18:28, 35

d Eks 3:19

e Eks 3:18

f Eks 1:11

g Eks 1:14

h Eks 1:11

Tweede kol.

a Eks 2:11

b Eks 5:7, 8

c Eks 5:3

Farao gesê het: 'Ek gaan nie meer vir julle strooi gee nie. **11** Gaan kry julle eie strooi waar julle dit ook al kan vind, maar julle werk sal glad nie verminder word nie.'" **12** Toe het die volk oor die hele Egipte uitgegaan om stoppels in die plek van strooi bymeekaar te maak. **13** En die taakgewers het vir hulle bly sê: "Julle moet elke dag julle werk klaarmaak, net soos toe daar nog vir julle strooi gegee is." **14** En die voormanne van die Israëliete, wat deur Farao se taakgewers oor hulle aangestel is, is geslaan.^a Hulle het vir hulle gevra: "Hoekom het julle gister en vandag nie soveel stene gemaak as wat julle gewoonlik maak nie?"

15 Die voormanne van die Israëliete het dus ingegaan en by Farao gekla: "Hoekom behandel u u knegte so? **16** Geen strooi word aan u knegte gegee nie, en tog sê hulle vir ons: 'Maak stene!' U knegte word geslaan, maar die skuld lê by u volk." **17** Maar hy het gesê: "Julle is lui, julle is lui!"^b Daarom sê julle: 'Ons wil gaan, ons wil aan Jehovah offerandes bring.'^c **18** Gaan werk nou! Geen strooi sal vir julle gegee word nie, maar julle moet nog steeds dieselfde hoeveelheid stene maak."

19 Die voormanne van die Israëliete het besef dat hulle in groot moeilikheid is omdat hulle beveel is om elke dag net soveel stene as voorheen te maak. **20** Toe hulle van Farao af weggegaan het, het hulle Moses en Aäron teëgekome, wat vir hulle gestaan en wag het. **21** Hulle het dadelik vir hulle gesê: "Mag Jehovah sien wat julle gedoen het en julle oordeel. Dit is julle skuld dat Farao en sy knegte

5:5 *Lett. "die volk van die land".

ons haat,* en julle het 'n swaard in hulle hand gesit om ons dood te maak.^a **22** Toe het Moses vir Jehovah gevra: "Jehovah, hoekom het u hierdie volk laat ly? Hoekom het u my gestuur? **23** Vandat ek na Farao gegaan het om in u naam te praat,^b het hy hierdie volk nog erger behandel,^c en u het niks gedoen om u volk te red nie."^d

6 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Nou sal jy sien wat ek aan Farao sal doen.^e 'n Magtige hand sal hom dwing om hulle weg te stuur, en 'n magtige hand sal hom dwing om hulle uit sy land uit te dryf."^f

2 Toe het God vir Moses gesê: "Ek is Jehovah. **3** Ek het altyd aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige,^g maar wat my naam Jehovah^h betref, ek het my nie deur middel daarvan aan hulle geopenbaar nie.ⁱ **4** Ek het ook 'n verbond met hulle gemaak om die land Kanaän aan hulle te gee, die land waar hulle as uitlanders gewoon het.^j **5** En ek het die gekreun van die Israëliete gehoor, wat deur die Egiptenare in slawerny gehou word, en ek het nie my verbond vergeet nie.^k

6 "Daarom moet jy vir die Israëliete sê: 'Ek is Jehovah, en ek sal julle bevry van die onderdrukking van die Egiptenare en van julle slawerny aan hulle,^l en ek sal julle met 'n uitgestrekte* arm en met groot oordele verlos.^m **7** Ek sal julle as my volk neem, en ek sal julle God wees,ⁿ en julle sal beslis weet dat ek Jehovah is, julle God wat julle bevry van die onderdrukking van Egipte. **8** Ek sal julle in die land inbring wat ek met 'n eed

5:21 *Of "Julle het ons 'n stank gemaak vir Farao en sy knegte". 6:6 *Of "'n magtige".

HFST. 5

a Eks 6:9

b Eks 5:1

c Eks 5:6, 9

d Eks 3:8

HFST. 6

e Eks 14:13

f Eks 9:3

g Eks 11:1

h Eks 12:29, 31

i Ge 17:1

j Ge 35:10, 11

k Ps 83:18

l Lu 11:2

m Joh 12:28

n Han 15:14

o Op 15:3

p i Ge 12:8

q Ge 28:16

r Jer 32:20

s j Ge 15:18

t Ge 28:4

u k Ge 17:1, 7

v Eks 2:24

w l De 4:20

x m De 26:8

y 1Kr 17:21

z Han 13:17

aa n Eks 29:45

ab De 7:6

ac 2Sa 7:24

ad Ps 33:12

ae

af

ag

ah

ai

aj

ak

al

am

an

ao

ap

aq

ar

as

at

belowe het* om aan Abraham, Isak en Jakob te gee, en ek sal dit aan julle as 'n besitting gee.^a Ek is Jehovah."^b

9 Later het Moses hierdie boodskap aan die Israëliete gegee, maar hulle het nie na Moses geluister nie omdat hulle ontmoedig was en hard moes werk as slawe.^c

10 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **11** "Gaan sê vir Farao, die koning van Egipte, dat hy die Israëliete uit sy land moet wegstuur." **12** Maar Moses het vir Jehovah gesê: "Nie eers die Israëliete het na my geluister nie.^d Hoe sal Farao ooit na my luister? Ek sukkel om te praat."^e **13** Maar Jehovah het weer vir Moses en Aäron gesê watter bevel hulle vir die Israëliete en vir Farao, die koning van Egipte, moet gee, sodat die Israëliete uit Egipte uitgelei kan word.

14 Dit is die hoofde van die vaderhuise: Die seuns van Ruben, Israel se eersgeborene,^f was Hanog, Pallu, Hesron en Karmi.^g Dit is die families van Ruben.

15 Die seuns van Si'meon was Je'muel, Jamin, Ohad, Jagin, Sohar en Saul, die seun van 'n Kanaänitiese vrou.^h Dit is die families van Si'meon.

16 Dit is die name van die seuns van Levi,ⁱ volgens hulle geslagslyne: Gerson, Kehat en Mera'ri.^j Levi het 137 jaar oud geword.

17 Die seuns van Gerson was Libni en Si'me'el, volgens hulle families.^k

18 Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, He'bron en Us'siël.^l Kehat het 133 jaar oud geword.

6:8 *Lett. "[waaroor] ek my hand opgelig het". 6:12 *Lett. "Ek is onbesnede van lippe".

Tweede kol.

a Ge 15:18

b Ge 26:3

c Ge 35:12

d Eks 32:13

e b Eks 20:2

f Jes 42:8

g c Eks 5:21

h d Eks 5:21

i Eks 6:9

j e Eks 4:10

k Han 7:22

l f Ge 49:3

m g Ge 46:9

n h 1Kr 4:24

o i Ge 29:34

p j Ge 46:11

q Nu 26:57

r k Nu 3:18

s l Nu 3:19

19 Die seuns van Mera'ri was Magli en Musi.

Dit was die families van die Leviete, volgens hulle geslagslyne.^a

20 En Amram het Jo'gebed, sy pa se suster, as vrou geneem.^b Sy het geboorte gegee aan Aäron en Moses.^c Amram het 137 jaar oud geword.

21 Die seuns van Jishar was Korag,^d Nefeg en Sigri.

22 Die seuns van Us'siël was Mi'sael, El'safan^e en Sitri.

23 En Aäron het Elise'ba, Ammina'dab se dogter, die suster van Nagson,^f as vrou geneem. Sy het geboorte gegee aan Nadab, Abi'hu, Elea'sar en Itamar.^g

24 Die seuns van Korag was Assir, Elka'na en Abi'asaf.^h Dit was die families van die Koragiete.ⁱ

25 Elea'sar,^j Aäron se seun, het een van die dogters van Pu'tiël as vrou geneem. Sy het geboorte gegee aan Pi'nehas.^k

Dit is die hoofde van die vaderhuise van die Leviete, volgens hulle families.^l

26 Dit is die Aäron en Moses vir wie Jehovah gesê het: "Lei die Israeliete uit Egipte uit, afdeling vir afdeling."^m **27** Dit is hulle, Moses en Aäron,ⁿ wat met Farao, die koning van Egipte, gepraat het om die Israeliete uit Egipte uit te lei.

28 Op daardie dag, toe Jehovah met Moses in Egipte gepraat het, **29** het Jehovah vir Moses gesê: "Ek is Jehovah. Sê vir Farao, die koning van Egipte, alles wat ek vir jou sê." **30** Toe het Moses voor Jehovah gesê: "Ek sukkel om te praat.* Hoe sal Farao dan ooit na my luister?"^o

6:26 *Lett. "volgens hulle leërmagte".
6:30 *Lett. "Ek is onbesnede van lippe".

HFST. 6

- a Nu 3:20
b Eks 2:1
Nu 26:59
c 1Kr 23:13
d Nu 16:1, 32
Nu 26:10
e Le 10:4
Nu 3:30
f Rut 4:19-21
Mt 1:4
g Nu 3:2
h Nu 26:10, 11
i Nu 26:58
1Kr 9:19
j Nu 3:32
k Nu 25:7
Nu 31:6
Jos 22:31
Rig 20:28
l Eks 6:19
m Eks 7:2, 4
Eks 12:41
Han 7:35
n Ps 77:20
o Eks 4:10
Eks 6:12

Tweede kol.

HFST. 7

- a Eks 4:14-16
Eks 4:30
b Eks 4:21
Eks 7:13, 22
Eks 8:15, 19
Eks 9:12, 35
Eks 10:20, 27
Eks 11:10
Eks 14:8
Ro 9:17, 18
c Eks 3:19, 20
Ps 105:26, 27
Han 7:36
d Eks 12:12, 51
e Eks 7:17
Eks 8:9, 10
Eks 8:22
Eks 9:29
Eks 14:4
f De 34:7
Han 7:22, 23
g Eks 4:2, 3
h Ge 41:8
2Ti 3:8
i Eks 7:20, 22
Eks 8:7, 18
Eks 9:11

7 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Kyk, ek het jou soos God gemaak* vir Farao, en jou eie broer Aäron sal jou profeet word.^a **2** Jy moet alles herhaal wat ek jou sal beveel, en jou broer Aäron sal met Farao praat, en hy sal die Israeliete uit sy land wegstuur. **3** Maar ek sal toelaat dat Farao hardkoppig word,^b en ek sal baie tekens en wonderwerke in Egipte doen.^c **4** Maar Farao sal nie na julle luister nie, en ek sal my hand teen Egipte moet oplig en my menigtes,* my volk, die Israeliete, met groot oordele uit Egipte moet uitlei.^d **5** En die Egiptenare sal beslis weet dat ek Jehovah is^e wanneer ek my hand teen Egipte uitstrek en die Israeliete onder hulle uitlei." **6** Moses en Aäron het gedoen wat Jehovah hulle beveel het. Hulle het net so gedoen. **7** Moses was 80 jaar oud en Aäron 83 jaar oud toe hulle met Farao gepraat het.^f

8 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: **9** "As Farao vir julle sê: 'Doen 'n wonderwerk,' dan moet jy vir Aäron sê: 'Neem jou staf en gooi dit voor Farao neer.' Dit sal dan 'n groot slang word.'^g **10** Toe het Moses en Aäron na Farao toe gegaan en gedoen presies soos Jehovah beveel het. Aäron het sy staf voor Farao en sy knegte neergegooi, en dit het 'n groot slang geword. **11** Maar Farao het die wyse manne en die townenaars laat roep, en die towerpriesters van Egipte^h het dieselfde met hulle toorkuns gedoen.ⁱ **12** Elkeen het sy staf neergegooi, en die stawwe het groot slange geword, maar Aäron se staf het hulle

7:1 *Lett. "ek het jou God gemaak".
7:3 *Lett. "ek sal Farao se hart verhard". **7:4** *Lett. "my leërmagte".

stawwe ingesluk. **13** Tog het Farao hardkoppig geword,^a en hy het nie na hulle geluister nie, net soos Jehovah gesê het.

14 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Farao is hardkoppig,^b en hy weier om die volk weg te stuur. **15** Gaan môreoggend na Farao toe. Wanneer hy na die water uitgaan, moet jy langs die Nylrivier gaan staan om hom te ontmoet. Vat die staf saam wat in 'n slang verander het.^c **16** Sê vir hom: 'Jehovah, die God van die Hebreërs, het my na u toe gestuur,^d en hy sê: "Stuur my volk weg sodat hulle my in die wildernis kan dien." Maar tot nou toe het u nie geluister nie. **17** Dit is wat Jehovah sê: "Hierdeur sal jy weet dat ek Jehovah is.^e Kyk, ek slaan die water in die Nylrivier met die staf wat in my hand is, en dit sal in bloed verander. **18** En die visse in die Nylrivier sal doodgaan, en die Nylrivier sal stink, en dit sal vir die Egiptenare onmoontlik wees om water uit die Nylrivier te drink.""

19 Daarna het Jehovah vir Moses gesê: "Sê vir Aäron: 'Neem jou staf en steek jou hand uit oor die waters van Egipte,^f oor sy riviere, oor sy kanale,^g oor sy vleie^g en oor al sy damme sodat dit bloed kan word.' Daar sal bloed wees in die hele Egipte, selfs in die houters van hout en klip." **20** Onmiddellik het Moses en Aäron gedoen net soos Jehovah beveel het. Hy het die staf opgelig en die water in die Nylrivier voor die oë van Farao en sy knegte geslaan, en al die water in die rivier is in bloed verander.^h **21** En die visse in die rivier het doodgegaan,ⁱ en die rivier het begin stink, en die Egiptenare kon nie water uit

7:13 *Of "se hart verhard". 7:19 *D.w.s. die kanale van die Nylrivier.

HFST. 7

a Eks 7:3

b Eks 10:1

c Eks 4:2, 3

d Eks 3:18

e Eks 7:5
Eks 8:9,10
Eks 8:22
Eks 9:29
Eks 14:4f Eks 9:22
Eks 10:12
Eks 14:21

g Eks 8:5

h Ps 78:44

i Ps 105:29

Tweede kol.

a Eks 7:18, 24

b Eks 7:11, 12
Eks 8:7, 18
Eks 9:11
2Ti 3:8

c Eks 3:19

HFST. 8

d Eks 3:12

e Ps 78:45

f Ps 105:30

g Eks 7:11, 12
Eks 7:20, 22
Eks 8:17, 18
Eks 9:11
2Ti 3:8

die Nylrivier drink nie,^a en daar was bloed in die hele Egipte.

22 Maar die towerpriesters van Egipte het dieselfde met hulle geheime kunste gedoen,^b en Farao het hardkoppig gebly,^c en hy het nie na hulle geluister nie, net soos Jehovah gesê het.^c **23** Farao het toe na sy huis teruggekeer, en hy het hom nie gesteur aan die dinge wat hy gesien het nie. **24** En al die Egiptenare het rondom die Nylrivier na drinkwater gegrawe, want hulle kon nie die water uit die Nylrivier drink nie. **25** En sewe volle dae het verbygegaan nadat Jehovah die Nylrivier getref het.

8 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Gaan na Farao toe en sê vir hom: 'Dit is wat Jehovah sê: "Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien."^d **2** As jy bly weier om hulle weg te stuur, sal ek paddas oor jou hele gebied laat kom.^e **3** Die Nylrivier sal wemel van paddas. Hulle sal uit die water kom en in jou huis en in jou slaapkamer inkom, en hulle sal op jou bed, in die huise van jou knegte, op jou volk, in jou oonde en in jou knieskottels wees.^f **4** Die paddas sal oor jou, oor jou volk en oor al jou knegte kom.""

5 Later het Jehovah vir Moses gesê: "Sê vir Aäron: 'Steek jou hand, met jou staf, uit oor die riviere, die Nylkanale en die vleie, en laat die paddas oor Egipte kom.'" **6** Toe het Aäron sy hand oor die waters van Egipte uitgesteek, en die paddas het begin opkom en die land bedek. **7** Maar die towerpriesters het dieselfde deur hulle geheime kunste gedoen, en hulle het ook paddas oor Egipte laat kom.^g

7:22 *Of "Farao se hart het hard gebly".

8 Faraο het Moses en Aāron toe geroep en gesê: “Smeek Jehovah om die paddas van my en my volk te verwyder,^a want ek wil die volk wegstuur sodat hulle aan Jehovah offerandes kan bring.” **9** Toe het Moses vir Faraο gesê: “Sê u vir my wanneer ek moet smee dat die paddas van u, u knegte, u volk en u huise verwyder moet word. Net in die Nylrivier sal daar paddas oorbly.” **10** En Faraο het gesê: “Mōre.” Toe het Moses gesê: “Dit sal gebeur soos u gesê het, sodat u kan weet dat daar niemand soos Jehovah ons God is nie.^b **11** U en u huise en u knegte en u volk sal ontslae wees van die paddas. Hulle sal net in die Nylrivier oorbly.”^c

12 Toe het Moses en Aāron van Faraο af weggegaan, en Moses het tot Jehovah gebid oor die paddas wat Hy oor Faraο gebring het.^d **13** Toe het Jehovah gedoen wat Moses gevra het, en die paddas het in die huise, die binnehowe en die veld begin doodgaan. **14** Hulle het die paddas oral in hope bymekaargemaak, en die land het begin stink. **15** Toe Faraο sien dat daar verligting is, het hy sy hart verhard,^e en hy het geweier om na hulle te luister, net soos Jehovah gesê het.

16 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Sê vir Aāron: ‘Steek jou staf uit en slaan die stof van die aarde, en dit sal muggies word in die hele Egipte.’” **17** En hulle het dit gedoen. Aāron het sy hand, met sy staf, uitgesteek en die stof van die grond geslaan, en daar het muggies op mens en dier gekom. In die hele Egipte het al die stof van die grond muggies geword.^f **18** Die towerpriesters het dieselfde probeer doen en muggies deur hulle geheime kunste probeer voortbring,^g maar hulle kon dit

HFST. 8

a Eks 10:16-19

b Eks 9:14

Eks 15:11

Ps 83:18

Ps 86:8

Jes 46:9

Jer 10:6, 7

Ro 9:17

c Eks 8:3

d Eks 8:30, 31

Eks 9:33

e Eks 4:21

Eks 7:3

f Ps 105:31

g Eks 7:11, 12

Eks 7:20, 22

Eks 8:7

Eks 9:11

Tweede kol.

a Eks 31:18

Lu 11:20

b Eks 9:4, 26

Eks 10:23

Eks 12:13

c 1Sa 17:46

1Kn 20:28

2Kn 19:17, 19

d Eks 8:3

e Ps 78:45

Ps 105:31

f Ge 46:33, 34

Eks 10:25, 26

nie doen nie. En die muggies het op mens en dier gekom. **19** Die towerpriesters het dus vir Faraο gesê: “Dit is die vinger van God!”^a Maar Faraο het hardkop-pig gebly,^{*} en hy het nie na hulle geluister nie, net soos Jehovah gesê het.

20 Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Staan mōreoggend vroeg op en gaan staan voor Faraο wanneer hy na die water toe kom. Sê dan vir hom: ‘Dit is wat Jehovah gesê het: “Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien. **21** Maar as jy nie my volk wegstuur nie, sal ek steekvlieë na jou, jou knegte, jou volk en jou huise stuur. Die huise van Egipte sal vol steekvlieë wees, en hulle sal selfs die grond bedek waarop die Egiptenare staan. **22** Op daardie dag sal ek beslis die land Gosen, waar my volk woon, afgeskeie hou. Geen steekvlieë sal daar wees nie,^b en hierdeur sal jy weet dat ek, Jehovah, hier in die land is.’ **23** En ek sal ’n onderskeid maak tussen my volk en jou volk. Mōre sal hierdie teken plaasvind.’”

24 En Jehovah het dit gedoen, en digte swerms steekvlieë het die huis van Faraο en die huise van sy knegte en die hele Egipte begin binnedring.^d Die land is deur die steekvlieë verwoes.^e **25** Uiteindelik het Faraο vir Moses en Aāron geroep en gesê: “Gaan, bring offerandes aan julle God in die land.” **26** Maar Moses het gesê: “Dit is nie gepas om dit te doen nie, want die offerandes wat ons aan Jehovah ons God sal offer, sal vir die Egiptenare iets afstootliks wees.^f As ons ’n offerande reg voor die Egiptenare offer wat hulle as iets

8:19 *Of “Faraο se hart het hard gebly”.

afstootliks beskou, sal hulle ons sekerlik met klippe doodgooi.

27 Ons sal drie dagreise ver in die wildernis in gaan, en daar sal ons offerandes bring aan Jehovah ons God net soos hy vir ons gesê het.^a

28 Farao het toe gesê: “Ek sal julle wegstuur om in die wildernis aan Jehovah julle God offerandes te bring. Moet net nie so ver weg gaan nie. En bid vir my.”^b

29 Toe het Moses gesê: “Kyk, ek gaan van u af weg, en ek sal Jehovah ter wille van u smeek, en die steekvlieë sal môre van Farao, sy knegte en sy volk weggaan. Maar Farao moet ophou om ons vir die gek te hou deur te weier om die volk weg te stuur om offerandes aan Jehovah te bring.”^c

30 Moses het toe van Farao af weggegaan en tot Jehovah gebid.^d

31 Toe het Jehovah gedoen wat Moses gevra het, en die steekvlieë het van Farao, sy knegte en sy volk weggegaan. Nie een het oorgebly nie.

32 Maar Farao het sy hart weer verhard en die volk nie weggestuur nie.

9 Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Gaan na Farao toe en sê vir hom: ‘Dit is wat Jehovah, die God van die Hebreërs, gesê het: “Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien.”^e

2 Maar as jy weier om hulle weg te stuur en jy hulle nog langer hou, **3** dan sal Jehovah se hand^f oor jou vee in die veld kom. ‘n Verwoestende plaag^g sal oor die perde, die donkies, die kamele, die beeste en die kleinvee kom.

4 En Jehovah sal beslis ‘n onderskeid maak tussen die vee van Israel en die vee van Egipte, en niks wat aan die Israeliete behoort, sal doodgaan nie.’”^h

5 Jehovah het ook ‘n tyd vasgestel en gesê: “Môre sal Jehovah dit in die land doen.”

HFST. 8

a Eks 3:18

b Eks 8:8
Eks 9:28

c Eks 8:15

d Eks 9:33

HFST. 9

e Eks 5:1
Eks 8:1

f Eks 7:4

g Eks 9:15

h Eks 8:22
Eks 10:23
Eks 11:7
Eks 12:13

Tweede kol.

a Ps 78:48

b Eks 4:21

c Eks 7:11, 12
Eks 7:20, 22
Eks 8:7, 18
2Ti 3:8d Eks 4:21
Eks 8:31, 32
Eks 14:17e Eks 8:9, 10
2Sa 7:22
Ps 83:18

6 Die volgende dag het Jehovah dit gedoen, en alle soorte vee van Egipte het begin doodgaan,^a maar nie een van die vee van Israel het doodgegaan nie.

7 Toe Farao ondersoek ingestel het, het hy uitgevind dat nie eers een van die Israeliete se vee doodgegaan het nie. Maar Farao het hardkoppig gebly, en hy het die volk nie weggestuur nie.^b

8 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: “Neem twee hande vol roet uit ‘n oond, en Moses moet dit voor Farao in die lug gooi. **9** En dit sal ‘n fyn stof oor die hele Egipte word, en dit sal etterende swere word op mens sowel as dier in die hele Egipte.”

10 Toe het hulle die roet uit ‘n oond geneem en voor Farao gaan staan, en Moses het dit in die lug gegooi, en dit het etterende swere geword wat op mens en dier uitbreek het.

11 Die towerpriesters kon as gevolg van die swere nie voor Moses verskyn nie, want die towerpriesters en al die Egiptenare^c was vol swere. **12** Maar Jehovah het toegelaat dat Farao hardkoppig word,^e en Farao het nie na hulle geluister nie, net soos Jehovah vir Moses gesê het.^d

13 Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Staan môreoggend vroeg op en gaan staan voor Farao, en sê vir hom: ‘Dit is wat Jehovah, die God van die Hebreërs, gesê het: “Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien. **14** Want nou stuur ek al my plaë teen jou,* teen jou knegte en teen jou volk, sodat jy kan weet dat daar in die hele aarde niemand soos ek is nie.’”^e

15 Want ek kon my hand

9:12 * Lett. “het Farao se hart verhard”.
9:14 * Lett. “jou hart”.

nou al uitgesteek het om jou en jou volk met 'n verwoestende plaag te tref, en jy sou van die aarde af uitgewis gewees het. **16** Maar om dié rede het ek jou nog laat bestaan: sodat ek jou my krag kan wys en sodat my naam oor die hele aarde bekend gemaak kan word.^a **17** Hou jy jou nog steeds hoogmoedig teenoor my volk deur hulle nie weg te stuur nie? **18** Kyk, môre omtrent hierdie tyd sal ek 'n baie groot haelstorm bring, soos wat nog nooit in Egipte plaasgevind het tot nou toe nie. **19** Beveel dus dat al jou vee en alles wat jy in die veld het, onder dak gebring word. Elke mens en dier wat nog in die veld is en nie na binne gebring is nie, sal sterf wanneer die hael om hulle val.”^b

20 Al Farao se knegte wat Jehovah se woord gevrees het, het hulle knegte en hulle vee dadelik in die huise ingebring, **21** maar almal wat hulle nie aan Jehovah se woord gesteur het nie, het hulle knegte en hulle vee in die veld gelos.

22 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Steek jou hand na die hemel toe uit sodat hael oor die hele Egipte kom,^b oor mens en dier en al die plante van die veld in Egipte.”^c **23** Toe het Moses sy staf na die hemel toe uitgesteek, en Jehovah het donderslae en hael gestuur, en hy het vuur* op die aarde laat val, en Jehovah het aanhoudend hael op Egipte laat val. **24** Daar was hael, en daar was vuur wat tussen die hael deur geflits het. Dit was baie erg. Daar was nog nooit so 'n haelstorm in die land vandat Egipte 'n nasie geword het nie.^d **25** Regoor Egipte het die hael alles in die veld ge-

9:23 *Verwys moontlik na kragtige weerlig.

HFST. 9

a Eks 14:17
Jos 2:9,10
1Kr 16:24
Spr 16:4
Jes 63:12
Ro 9:17

b Ps 78:47
Ps 105:32

c Eks 10:4, 5

d Eks 9:18

Tweede kol.

a Ps 105:33

b Eks 8:22
Eks 9:3, 4
Eks 10:23
Eks 11:7
Eks 12:13

c Eks 7:5, 17
Eks 8:9, 10
Eks 8:22
Eks 14:4
De 10:14
Ps 24:1

d Eks 10:17-19

e Eks 4:21
Eks 8:13, 15

f Eks 7:4

trek, mens sowel as dier, en dit het al die plante en al die bome van die veld verwoes.^a **26** Net in die land Gosen, waar die Israeliete was, was daar geen hael nie.^b

27 Farao het Moses en Aäron dus laat roep en vir hulle gesê: “Ek het hierdie keer gesondig. Jehovah is regverdig, en ek en my volk is verkeerd. **28** Smeek Jehovah dat daar 'n einde kan wees aan God se donderslae en hael. Dan sal ek bereid wees om julle weg te stuur, en julle hoef nie langer te bly nie.” **29** Toe het Moses vir hom gesê: “Sodra ek uit die stad uitgaan, sal ek my hande voor Jehovah uitstrek. Die donderslae sal ophou en die hael sal nie meer val nie, sodat u kan weet dat die aarde aan Jehovah behoort.”^c **30** Maar ek weet reeds dat u en u knegte nie eers dan Jehovah God sal vrees nie.”

31 En die vlas en die gars is verwoes, want die gars was amper ryp en die vlas het blomknoppe gehad. **32** Maar die koring en die spelt is nie verwoes nie, want dit kom eers later op.* **33** Moses het toe van Farao af weggegaan uit die stad uit en sy hande voor Jehovah uitgestrek, en die donderslae en die hael en die reën het opgehou.^d **34** Toe Farao sien dat die reën, die hael en die donderslae opgehou het, het hy weer gesondig en sy hart verhard,^e hy sowel as sy knegte. **35** En Farao het hardkoppig gebly,^{*} en hy het nie die Israeliete weggestuur nie, net soos Jehovah deur Moses gesê het.^f

10 Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Gaan na Farao toe, want ek het toegelaat dat hy en sy knegte hardkoppig

9:32 *Of “word later ryp”. 9:35 *Of “Farao se hart het hard gebly”.

word,^a sodat ek hierdie tekens van my reg voor hom kan doen.^b

2 Dan kan jy vir jou kinders en jou kleinkinders vertel hoe swaar ek Egipte gestraf het en watter tekens ek onder hulle gedoen het,^c en julle sal beslis weet dat ek Jehovah is.”

3 Moses en Aäron het na Farao toe gegaan en vir hom gesê: “Dit is wat Jehovah, die God van die Hebreërs, gesê het: ‘Hoe lank gaan jy weier om jou aan my te onderwerp?’^d Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien. **4** Want as jy bly weier om my volk weg te stuur, sal ek môre sprinkane oor jou land laat kom. **5** Hulle sal die oppervlak van die aarde bedek, en dit sal nie moontlik wees om die grond te sien nie. Hulle sal alles opeet wat ná die hael vir julle oorgebly het, en hulle sal al julle bome eet wat in die veld groei.^e

6 Jou huise, die huise van al jou knegte en die huise van die hele Egipte sal vol sprinkane wees, soos julle pa’s en julle oupas nog nooit gesien het nie.”^f Toe het hy omgedraai en van Farao af weggegaan.

7 Daarna het Farao se knegte vir hom gesê: “Hoe lank sal hierdie man vir ons moeilikheid maak?* Stuur die manne weg sodat hulle Jehovah hulle God kan dien. Besef u nog nie dat Egipte verwoes is nie?” **8** Moses en Aäron is toe na Farao teruggebring, en hy het vir hulle gesê: “Gaan, dien Jehovah julle God. Maar wie is dit nou eintlik wat saamgaan?” **9** Toe het Moses gesê: “Ons sal gaan met ons jongmense, ons oumense, ons seuns, ons dogters, ons skape en ons beeste,^g want ons sal ’n fees vir Jehovah hou.”^h **10** Hy het vir hulle gesê: “As ek julle en julle kinders ooit wegstuur,

HFST. 10

a Eks 9:15, 16
Ps 78:12
Ro 9:17

b Eks 4:21
Eks 9:34

c Eks 13:3, 8
De 4:9
De 6:20-22
Ps 44:1

d Eks 9:17

e Eks 9:31, 32

f Eks 9:24

g Eks 10:25, 26

h Eks 3:18
Eks 5:1

Tweede kol.

a Eks 12:31, 32

b Ps 78:46

c Eks 10:5
Ps 105:34, 35

d Eks 8:30, 31

is Jehovah werklik met julle!^a Dit is duidelik dat julle van plan is om iets slegs te doen. **11** Nee! Net die mans mag Jehovah gaan dien, want dit is wat julle gevra het.” Toe is hulle van Farao af weggejaag.

12 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Steek jou hand uit oor Egipte, sodat die sprinkane oor Egipte kan kom en al die plante van die land kan opeet, alles wat die hael laat oorbly het.”

13 Dadelik het Moses sy staf oor Egipte uitgesteek, en Jehovah het daardie hele dag en hele nag ’n oostewind oor die land laat waai. Toe dit oggend word, het die oostewind die sprinkane gebring. **14** Die sprinkane het op die hele Egipte toegesak en het oral in die gebied van Egipte gaan sit.^b Die plaag was verskriklik erg.^c Daar was nog nooit voorheen soveel sprinkane nie, en daar sal nooit weer soveel wees nie. **15** Hulle het die oppervlak van die hele land bedek, en die land het donker geword as gevolg van hulle. Hulle het al die plante van die land verslind, sowel as al die vrugte van die bome wat die hael laat oorbly het. Daar het geen groenigheid aan die bome of aan die plante van die veld in die hele Egipte oorgebly nie.

16 Farao het Moses en Aäron dadelik laat roep en gesê: “Ek het teen Jehovah julle God en teen julle gesondig. **17** Vergeve my sonde net hierdie een keer, asseblief, en smeeke Jehovah julle God om hierdie dodelike plaag van my af weg te neem.” **18** Daarna het hy* van Farao af weggegaan en tot Jehovah gebid.^d **19** Toe het Jehovah die wind van rigting laat verander, en dit het ’n baie sterk westewind geword en het

10:7 *Lett. “’n strik wees”.

10:18 *Blykbaar Moses.

die sprinkane in die Rooisee ingewaai. Nie 'n enkele sprin-
kaan het in die hele Egipte oor-
gebly nie. **20** Maar Jehovah
het toegelaat dat Farao hard-
koppig word,*^a en hy het die Is-
raeliete nie weggestuur nie.

21 Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: “Steek jou hand na
die hemel toe uit, sodat daar
duisternis oor Egipte kan wees.
Dit sal so donker wees dat 'n
mens amper daaraan sal kan
vat.” **22** Moses het onmiddellik
sy hand na die hemel toe uit-
gesteek, en daar was drie dae
lank dik duisternis oor die hele
Egipte.^b **23** Hulle kon mekaar
nie sien nie, en hulle almal het
drie dae lank nêrens heen ge-
gaan nie, maar waar die Israe-
liete gewoon het, was daar lig.^c
24 Farao het Moses toe ge-
roep en gesê: “Gaan, dien Je-
hovah.^d Net julle skape en julle
beeste moet agterbly. Selfs jul-
le kinders mag saam met julle
gaan.” **25** Maar Moses het ge-
sê: “U moet ook vir ons offer-
randes en brandoffers gee,* en
ons sal dit aan Jehovah ons
God offer.^e **26** Ons vee sal ook
saam met ons gaan. Nie 'n dier
mag agterbly nie, want ons sal
van die diere gebruik om Jeho-
vah ons God te aanbid, en ons
weet nie wat ons in aanbidding
aan Jehovah sal offer totdat ons
daar aankom nie.” **27** Maar Je-
hovah het toegelaat dat Farao
hardkoppig word,* en hy wou
hulle nie wegstuur nie.^f **28** Fa-
rao het vir hom gesê: “Maak dat
jy wegkom! Moet dit nie waag
om weer voor my te verskyn
nie, want die dag dat jy weer
hiernatoe kom, sal jy sterf.”
29 Toe het Moses gesê: “Nou

10:20, 27 *Lett. “het Farao se hart ver-
hard”. 10:25 *Of “U moet ons ook
toelaat om offerandes en brandoffers
saam te neem”.

HFST. 10

a Eks 7:3
Eks 11:10
Ro 9:17,18

b Ps 105:28

c Eks 8:21, 22
Eks 9:3, 6
Eks 9:26
Eks 11:7
Eks 12:13

d Eks 8:28
Eks 9:28

e Eks 3:18
Eks 5:3

f Eks 4:21
Eks 14:4

Tweede kol.

HFST. 11

a De 4:34

b Eks 12:31, 32

c Eks 3:21, 22
Eks 12:35, 36
Ps 105:37

d Eks 12:29

e Eks 4:22, 23
Ps 78:51
Ps 105:36
Ps 136:10
Heb 11:28

f Eks 12:12

g Eks 12:30

h Eks 8:22
Eks 9:3, 4
Eks 10:23
Eks 12:13

i Eks 12:33

j Eks 3:19
Eks 7:4
Ro 9:17,18

k Eks 7:3

goed dan. Ek sal nie weer voor
u verskyn nie.”

11 Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Ek gaan nog
een plaag oor Farao en Egipte
bring. Daarna sal hy julle hier-
vandaan wegstuur.^a Wanneer hy
julle wegstuur, sal hy julle let-
terlik uit die land uit jaag.^b
2 Sê dan nou vir die volk dat al
die mans en vrouens hulle bure
vir silwervoorwerpe en goue
voorwerpe moet vra.”^c **3** En
Jehovah het seker gemaak dat
die Egiptenare 'n goeie gesind-
heid teenoor die volk het. Wat
meer is, Moses het 'n hoogs ge-
respekteerde man in Egipte ge-
word onder Farao se knegte en
onder die volk.

4 Moses het toe gesê: “Dit is
wat Jehovah gesê het: ‘Omtrent
middernag sal ek deur Egipte
gaan,^d **5** en elke eersgeborene
in Egipte sal sterf,^e van die eers-
geborene van Farao wat op sy
troon sit tot die eersgeborene
van die slavin wat by die hand-
meul werk, en elke eersgebore-
ne van die vee.^f **6** Regoor Egipte
sal daar 'n groot gehuil wees,
soos daar nog nooit vantevore
was nie en nooit weer sal wees
nie.^g **7** Maar nie eers 'n hond
sal vir die Israeliete of hulle vee
blaf nie,* sodat julle kan weet
dat Jehovah 'n onderskeid kan
maak tussen die Egiptenare en
die Israeliete.’^h **8** En al u kneg-
te sal beslis na my toe kom en
voor my neerbuig en sê: ‘Gaan,
jy en almal wat jou volg.’ⁱ En
daarna sal ek vertrek.” Toe het
hy woedend van Farao af weg-
gegaan.

9 Jehovah het toe vir Moses
gesê: “Farao sal nie na julle luis-
ter nie.^j So sal my wonderwer-
ke in Egipte nog meer word.”^k

11:7 *Lett. “sal sy tong skerpmaak teen
die kinders van Israel of hulle vee nie”.

10 Moses en Aäron het al hierdie wonderwerke voor Farao gedoen,^a maar Jehovah het toegelaat dat Farao hardkoppig word,* en hy het die Israeliete nie uit sy land weggestuur nie.^b

12 Jehovah het toe vir Moses en Aäron in Egipte gesê: **2** "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maand van die jaar.^c **3** Praat met die hele gemeenskap van Israel en sê: 'Op die tiende dag van hierdie maand moet elkeen 'n lam neem^d vir sy familie, 'n lam per huis. **4** Maar as die familie te klein is vir die lam, moet hulle* dit in hulle^e huis met hulle^e naaste bure deel. Hulle moet uitwerk hoeveel mense daarvan kan eet en dit dan tussen hulle verdeel. **5** Die dier moet sonder gebrek^e wees, 'n rammetjie van 'n jaar oud. Julle mag 'n skaap of 'n bok kies. **6** Julle moet vir die dier sorg tot die 14de dag van hierdie maand,^f en dan moet die hele gemeente van Israel dit slag wanneer dit skemer word.^g **7** Hulle moet van die bloed neem en dit spat op die twee deurposte en die boonste deel van die deuropening van die huise waarin hulle dit eet.^h

8 "Hulle moet die vleis op hierdie nag eet.ⁱ Hulle moet dit oor die vuur braai en dit saam met ongesuurde brood^j en bitter kruid^k eet. **9** Moet niks daarvan rou eet of in water kook nie, maar braai dit oor die vuur, sy kop saam met sy pootjies en sy binnegoed. **10** Julle moet niks daarvan tot die oggend toe laat oorbly nie, maar wat daarvan tot die oggend toe oorbly,

11:10 *Lett. "het Farao se hart verhard". 12:4 *Lett. "hy". #Lett. "sy". 12:6 *Lett. "tussen die twee aande".

HFST. 11

a Ps 135:9

b Eks 4:21
Eks 9:15, 16
Eks 10:20

HFST. 12

c Eks 13:4
Eks 23:15
Nu 28:16
De 16:1d Joh 1:29
1Kor 5:7
Op 5:6e Le 22:18-20
De 17:1
1Pe 1:19

f Nu 28:16

g Eks 12:18
Le 23:5
De 16:6h 1Kor 5:7
Heb 11:28

i De 16:6, 7

j Eks 13:3
Eks 34:25
De 16:3
1Kor 5:8

k Nu 9:11

Tweede kol.

a Le 7:15
Le 22:29, 30
De 16:4b Eks 11:4, 5
Eks 12:29

c Nu 33:4

d Eks 8:22
Eks 9:4, 26
Eks 10:23
Eks 11:7e Eks 23:15
Le 23:6

f Le 23:8

g Le 23:6
Lu 22:1
1Kor 5:8moet julle met vuur verbrand.^a

11 En dit is hoe julle dit moet eet: met julle lyfband om julle heupe vasgemaak,* met sandale aan julle voete en met julle staf in julle hand. Julle moet dit vinnig eet. Dit is Jehovah se Pasga. **12** Want ek sal in hierdie nag deur Egipte gaan en elke eersgeborene in Egipte doodmaak, mens sowel as dier.^b Ek sal al die gode van Egipte oordeel en straf.^c Ek is Jehovah. **13** Die bloed sal dien as julle teken op die huise waarin julle is, en ek sal die bloed sien en by julle verbygaan, en die plaag sal nie oor julle kom om julle te vernietig wanneer ek Egipte tref nie.^d

14 "Julle moet hierdie dag herdenk, en julle moet in al julle geslagte 'n fees vir Jehovah vier op hierdie dag. Dit is 'n permanente wetsbepaling dat julle hierdie dag vier. **15** Sewe dae moet julle ongesuurde brood eet.^e Ja, op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder, want elkeen wat van die eerste dag af tot die sewende dag toe iets eet wat met suurdeeg gemaak is, moet doodgemaak word en so uit Israel verwyder word. **16** Op die eerste dag sal julle 'n heilige byeenkoms hou, en op die sewende dag nog 'n heilige byeenkoms. Geen werk moet op hierdie dae gedoen word nie.^f Julle mag net die kos voorberei wat elkeen nodig het.

17 "En julle moet die Fees van die Ongesuurde Brode^g hou, want op dié dag sal ek julle as 'n groot menigte* uit Egipte uitlei. En julle moet hierdie dag in al julle geslagte vier. Dit is 'n permanente wetsbepaling. **18** Vanaf die aand van die 14de dag van die eerste maand tot

12:11 *Lett. "met julle heupe omgord". 12:17 *Lett. "julle leërmagte".

op die aand van die 21ste dag van die maand moet julle ongesuurde brood eet.^a **19** Sewe dae lank mag geen suurdeeg in julle huise gevind word nie. As enigiemand iets eet wat met suurdeeg gemaak is, of hy nou 'n uitlander of 'n gebore Israeliet is,^b moet daardie persoon doodgemaak word en so uit die gemeenskap van Israel verwyder word.^c **20** Julle moet niks eet wat met suurdeeg gemaak is nie. In al julle huise moet julle ongesuurde brood eet.”

21 Moses het dadelik al die ouerleute van Israel geroep^d en vir hulle gesê: “Gaan en kies jong diere* vir julle families, en slag die Pasga-offer. **22** Julle moet dan 'n bossie hisop in die bloed doop wat in 'n kom is en die bloed teen die boonste deel van die deuropening en teen die twee deurposte spat. Niemand van julle mag tot die oggend toe by sy huis uitgaan nie. **23** Wanneer Jehovah dan kom om die Egiptenare met die plaag te tref en hy die bloed aan die boonste deel van die deurposte sien, sal Jehovah beslis by die ingang verbygaan, en hy sal nie toelaat dat die dodelike plaag* in julle huise ingaan nie.”

24 “Julle moet hierdie geleentheid herdenk. Dit is 'n permanente wetsvoorskrif vir julle en julle kinders.^f **25** En wanneer julle in die land kom wat Jehovah aan julle sal gee, soos hy gesê het, moet julle aanhou om hierdie fees te vier.^g **26** En as julle kinders vir julle vra: ‘Wat beteken hierdie viering?’^h **27** dan moet julle sê: ‘Dit is die offerande van die Pasga aan Jehovah, wat by die huise van die Israeliete in Egipte verbygegaan

12:21 *D.w.s. jong skape of bokke.
12:23 *Lett. “die vernietiging”.

HFST. 12

a Le 23:5, 6

b Nu 9:14

c De 16:3
1Kor 5:7

d Eks 3:16
Nu 11:16

e Heb 11:28

f De 16:3

g Jos 5:10

h Eks 13:3, 8
De 6:6, 7

Tweede kol.

a Heb 11:28

b Nu 33:4
Ps 78:51
Ps 105:36

c Ge 15:14
Eks 11:4, 5
Nu 3:13
Ps 135:8

d Eks 11:6

e Eks 10:28, 29

f Eks 3:19, 20
Eks 6:1
Eks 10:8-11
Ps 105:38

g Eks 10:26

h Eks 12:11

i Eks 10:7

j Ge 15:14
Eks 3:21
Eks 11:2
Ps 105:37

het toe hy die Egiptenare met die plaag getref het, maar hy het ons huise gespaar.”

Toe het die volk op hulle knieë gegaan en neergebuig. **28** Die Israeliete het toe gegaan en gedoen net soos Jehovah Moses en Aäron beveel het.^a Hulle het net so gedoen.

29 En om middernag het Jehovah elke eersgeborene in Egipte doodgemaak,^b van die eersgeborene van Farao wat op sy troon gesit het tot die eersgeborene van die gevange- ne wat in die tronk* was, en elke eersgeborene van die diere.^c **30** Farao het daardie nag opgestaan, hy en al sy knegte en al die ander Egiptenare, en daar was 'n groot gehuil onder die Egiptenare, want daar was nie 'n huis waar daar nie iemand dood was nie.^d **31** Nog daardie selfde nag het hy Moses en Aäron laat roep^e en gesê: “Staan op, gee pad onder my volk uit, julle en die ander Israeliete! Gaan dien Jehovah, net soos julle gesê het.^f **32** Vat ook julle kleinvee sowel as julle beeste, en gaan, net soos julle gesê het.^g Maar julle moet my ook seën.”

33 Die Egiptenare het die volk begin smeek om gou^h uit die land te trek, want hulle het gesê: “Ons is almal so goed as dood!”ⁱ **34** Toe het die volk hulle ongesuurde deeg geneem, en hulle het hulle knieskottels in hulle klere toegedraai en op hulle skouers gedra. **35** Die Israeliete het gedoen wat Moses vir hulle gesê het, en hulle het die Egiptenare vir silwer- voorwerpe en goue voorwerpe sowel as klere gevra.^j **36** Jehovah het gesorg dat die Egiptenare goed is vir die volk, en hulle het die volk gegee waarvoor

12:29 *Lett. “die huis van die reënput”.

hulle gevra het, en hulle het die Egiptenare gestroop.^a

37 Die Israëliete het toe uit Ramses^b na Sukkot^c vertrek, ongeveer 600 000 mans te voet, buiten die kinders.^d

38 'n Groot gemengde skare^e het ook saamgegaan, asook kleinvee en beeste, 'n baie groot hoeveelhede vee. **39** Hulle het ronde, ongesuurde brode begin bak van die deeg wat hulle uit Egipte gebring het. Dit was nie met suurdeeg gemaak nie, want hulle is so skielik uit Egipte uitgedryf dat hulle geen padkos vir hulle gemaak het nie.^f

40 Die Israëliete, wat in Egipte gewoon het,^g het 430 jaar lank^h as uitlanders gewoon. **41** Toe die 430 jaar geëindig het, op presies dieselfde dag, het Jehovah se hele volk* Egipte verlaat. **42** Dit is 'n nag waarop 'n viering sal plaasvind omdat Jehovah hulle uit Egipte uitgelei het. Hierdie nag moet deur al die Israëliete in al hulle geslagte ter ere van Jehovah herdenk word.ⁱ

43 Toe het Jehovah vir Moses en Aäron gesê: "Die volgende wetsbepaling geld in verband met die Pasga: Geen uitlander mag daarvan eet nie.^j **44** Maar as iemand 'n slaaf het wat met geld gekoop is, moet die slaaf besny word.^k Eers dan mag hy daarvan eet. **45** 'n Tydelike inwoner en 'n gehuurde werker mag nie daarvan eet nie. **46** Dit moet in een huis geëet word. Julle mag nie van die vleis uit die huis neem nie, en julle mag geen been daarvan breek nie.^l **47** Die hele gemeenskap van Israel moet dit vier. **48** As 'n uitlander by jul-

HFST. 12

a Eks 3:22

b Ge 47:11
Eks 1:11

c Nu 33:5

d Ge 12:1, 2
Ge 15:1, 5
Ge 46:2, 3
Eks 1:7
Nu 2:32

e Nu 11:4

f Eks 12:31

g Ge 46:2, 3
Ge 47:27
Han 13:17

h Ga 3:17

i De 16:1

j Le 22:10

k Ge 17:12, 23

l Nu 9:12
Ps 34:19, 20
Joh 19:33, 36

Tweede kol.

a Nu 9:14

b Le 24:22
Nu 15:16

HFST. 13

c Nu 3:13
Nu 18:15
De 15:19
Lu 2:22, 23

d Eks 12:42
De 16:3

e De 4:34
Ne 9:10

f De 16:1

g Eks 3:8
Eks 34:11

h Ge 15:18
Eks 6:5, 8

i Eks 3:17
De 8:7-9

j Eks 12:15
Eks 34:18

le woon en hy die Pasga vir Jehovah wil vier, moet almal by hom wat manlik is, besny word. Dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n gebore Israëliet word. Maar 'n man wat nie besny is nie, mag nie daarvan eet nie.^a **49** Daar moet net een wet wees vir die gebore Israëliet en vir die uitlander wat by julle woon."^b

50 Toe het al die Israëliete gedoen net soos Jehovah Moses en Aäron beveel het. Hulle het net so gedoen. **51** Op daardie selfde dag het Jehovah die Israëliete saam met hulle menigtes* uit Egipte uitgelei.

13 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **2** "Heilig vir my elke manlike eersgeborene* onder die Israëliete. Elke manlike eersgeborene behoort aan my, of dit nou 'n mens of 'n dier is."^c

3 Toe het Moses vir die volk gesê: "Onthou hierdie dag waarop julle uit Egipte,^d uit die huis van slawerny, uitgegaan het, want Jehovah het julle met 'n magtige hand hiervandaan uitgelei.^e Daarom mag niks geëet word wat met suurdeeg gemaak is nie. **4** Julle vertrek op hierdie dag, in die maand Abib.^f **5** Wanneer Jehovah julle in die land van die Kanaäniete, die Hettiete, die Amoriete, die Hewiete en die Jebusiete^g gebring het, wat hy aan julle voorvaders met 'n eed belowe het om aan julle te gee,^h 'n land wat oorloop van melk en heuning,ⁱ dan moet julle hierdie fees in hierdie maand vier. **6** Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet,^j en op die sewende dag sal daar 'n fees vir Jehovah wees. **7** On-

12:38 *D.w.s. 'n groot aantal mense wat nie Israëliete was nie en wat Egiptenare ingesluit het. **12:41** *Lett. "al die leërmagte van Jehovah". **12:51** *Lett. "leërmagte". **13:2** *Lett. "Sonder vir my elke eersgeborene af wat elke baarmoeder open". **13:4** *Sien Aanb. B15.

12:38 *D.w.s. 'n groot aantal mense wat nie Israëliete was nie en wat Egiptenare ingesluit het. **12:41** *Lett. "al die leërmagte van Jehovah".

gesuurde brood moet gedurende die sewe dae geëet word,^a en niks wat met suurdeeg gemaak is, mag by julle gevind word nie,^b en geen suurdeeg mag in julle hele gebied by julle gevind word nie. **8** En julle moet vir julle seuns op daardie dag sê: 'Dit is as gevolg van wat Jehovah vir ons gedoen het toe ons uit Egipte getrek het.'^c **9** Hierdie fees sal vir julle dien as 'n teken op julle hand en as 'n herinnering* op julle voorkop,^d sodat Jehovah se wet op julle lippe sal wees, want Jehovah het julle met 'n magtige hand uit Egipte uitgelei. **10** Julle moet hierdie wetsbepaling jaar ná jaar op die vasgestelde tyd nalkom.^e

11 "Wanneer Jehovah julle in die land van die Kanaäniete inbring, wat hy met 'n eed aan julle en julle voorvaders belowe het om aan julle te gee,^f **12** dan moet julle elke eersgebore seun,^g sowel as elke eersgebore manlike dier^h wat julle bykry, aan Jehovah wy. Hulle behoort aan Jehovah.^g **13** Elke eersgebore* donkie moet julle met 'n skaap loskoop, en as julle dit nie loskoop nie, moet julle sy nek breek. En elke eersgebore seun moet julle loskoop.^h

14 "As julle seuns julle later vra: 'Wat beteken dit?' dan moet julle vir hulle sê: 'Jehovah het ons met 'n magtige hand uit Egipte, uit die huis van slawerny, gebring.'ⁱ **15** Toe Faraoh hardkoppig geweier het om ons weg te stuur,^j het Jehovah elke eersgeborene in Egipte doodgemaak, die eersgeborene van die

HFST. 13

a Eks 23:15

b De 16:3

c Eks 12:26, 27

d Eks 12:14
De 11:18

e Eks 12:24, 25

f Ge 15:18

g Eks 22:29
Eks 34:19, 20
Le 27:26
Nu 3:13
Lu 2:22, 23

h Nu 18:15

i De 7:7, 8

j Eks 5:2

Tweede kol.

a Eks 12:29
Ps 78:51

b De 11:18

c Eks 14:2, 3
Nu 33:5d Ge 50:24, 25
Jos 24:32
Heb 11:22

e Eks 14:19

f Nu 9:15
Ps 78:14g Ps 105:39
1Kor 10:1

mense sowel as die eersgeborene van die diere.^a Daarom bring ek al die eersgebore mannetjies* as 'n offerande aan Jehovah en koop ek elke eersgebore seun los.' **16** Dit moet dien as 'n teken op julle hand en as 'n band op julle voorkop,^b want Jehovah het ons met 'n magtige hand uit Egipte uitgelei."

17 Toe Faraoh die volk weggestuur het, het God hulle nie deur die land van die Filistyne gelei nie, al was dit 'n korter pad. Want God het gesê: "Die volk sal dalk van gedagte verander as hulle sien dat hulle oorlog moet voer, en dan sal hulle na Egipte terugkeer." **18** God het die volk dus met 'n ompad laat gaan, op die weg deur die wildernis by die Rooisee.^c Die Israeliete het nietemin ordelik, soos groepe soldate, uit Egipte vertrek. **19** Moses het ook Josef se liggaam* saam met hom geneem, want Josef het die seuns van Israel laat sweer: "God sal vir seker aan julle dink, en julle moet my liggaam* saam met julle hiervandaan neem."^d **20** Hulle het van Sukkot af vertrek en by Etam, aan die rand van die wildernis, kamp opgeslaan.

21 Jehovah het voor hulle uit gegaan, in die dag in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei^e en in die nag in 'n vuurkolom om vir hulle lig te gee, sodat hulle in die dag en in die nag kon reis.^f **22** Die wolkkolom het nie gedurende die dag van die volk af wegbeweeg nie, en ook nie die vuurkolom in die nag nie.^g

14 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israeliete dat hulle moet terugdraai en voor Pi-Hagirot kamp

13:15 *Lett. "alles wat die baarmoeder open". **13:19** *Lett. "beendere".

13:9 *Of "gedenkteken". **13:9, 16** *Lett. "tussen jou oë". **13:12** *Lett. "elkeen wat die baarmoeder open".
*Of "elke manlike eersteling". **13:13** *Of "eersteling van 'n".

moet opslaan, tussen Migdol en die see, oorkant Baäl-Sefon.^a Julle moet daar by die see kamp opslaan. **3** Dan sal Faraο van die Israeliete sê: 'Hulle dwaal verward in die land rond. Hulle is in die wildernis vasgevang.' **4** Ek sal toelaat dat Faraο hardkoppig word,^{*b} en hy sal hulle agternasit, en ek sal my deur middel van Faraο en sy hele leërmag verheerlik,^c en die Egiptenare sal beslis weet dat ek Jehovah is."^d Dit is wat hulle toe gedoen het.

5 Later is daar vir die koning van Egipte gesê dat die volk gevlug het. Die houding van Faraο en sy knegte teenoor die volk het dadelik verander,^e en hulle het gesê: "Hoekom het ons dit gedoen? Hoekom het ons ons Israelitiese slawe vrygelaat?" **6** Toe het hy sy strydwaens gereedgemaak, en hy het sy soldate saam met hom geneem.^f **7** Hy het 600 van die beste strydwaens geneem en al die ander strydwaens van Egipte, en daar was soldate op elkeen van hulle. **8** Jehovah het toegelaat dat Faraο, die koning van Egipte, hardkoppig word,^{*} en Faraο het die Israeliete agternagesit terwyl die Israeliete vol vertrou[#] uitgegaan het.^g **9** Die Egiptenare het hulle agternagesit,^h en al die strydwaerde van Faraο en sy perderuiters en sy leërmag het al hoe nader aan hulle gekom terwyl hulle in hulle kamp by die see was, by Pi-Hagirot, oorkant Baäl-Sefon.

10 Toe Faraο nader kom, het die Israeliete gesien dat die Egiptenare hulle agternasit. Die Israeliete het baie bang geword

14:4 *Lett. "sal Faraο se hart verhard".
14:8 *Lett. "het die hart van Faraο . . . verhard". #Lett. "met 'n opgeligte hand".

HFST. 14
 a Eks 13:17, 18
 b Eks 7:13
 Ro 9:17, 18
 c Eks 9:15, 16
 Eks 15:11
 Eks 18:10, 11
 Jos 2:9, 10
 d Eks 7:5
 Eks 8:22
 e Eks 12:33
 f Eks 14:23
 g Nu 33:3
 h Eks 15:9

Tweede kol.

a Jos 24:6, 7
 Ne 9:9
 b Eks 16:3
 Eks 17:3
 Nu 14:2-4
 Ps 106:7
 c Eks 5:21
 Eks 6:6, 9
 d Nu 14:9
 De 20:3
 2Kr 20:15, 17
 Ps 27:1
 Ps 46:1
 Jes 41:10
 e 2Kr 20:17
 f Eks 14:30
 Eks 15:5
 Ps 136:15
 g De 1:30
 De 20:4
 2Kr 20:29
 h Eks 9:15, 16
 i Eks 14:4
 Ro 9:17, 18
 j Ge 48:16
 Eks 32:34
 Nu 20:16
 Jud 9
 k Eks 13:21

en tot Jehovah begin roep.^a **11** Hulle het vir Moses gesê: "Was daar nie genoeg plek in Egipte om ons te begrawe nie? Is dit hoekom jy ons hierheen gebring het om in die wildernis te sterf?"^b Wat het jy aan ons gedoen deur ons uit Egipte uit te lei? **12** Ons het mos in Egipte vir jou gesê: 'Los ons uit, sodat ons die Egiptenare kan dien.' Want dit is vir ons beter om die Egiptenare te dien as om in die wildernis te sterf."^c **13** Toe het Moses vir die volk gesê: "Moenie bang wees nie.^d Staan vas en sien hoe Jehovah julle vandag sal red.^e Want die Egiptenare wat julle vandag sien, sal julle nooit ooit weer sien nie.^f **14** Jehovah sal vir julle veg,^g en julle sal stil wees."

15 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Waarom bly jy tot my roep? Sê vir die Israeliete dat hulle hulle kamp moet opbreek. **16** En jy, lig jou staf op en steek jou hand uit oor die see en verdeel dit in twee sodat die Israeliete op droë grond deur die see kan gaan. **17** Maar ek sal toelaat dat die Egiptenare hardkoppig word,^{*} en hulle sal die Israeliete agternasit. So sal ek myself verheerlik deur middel van Faraο en sy hele leërmag, sy strydwaens en sy perderuiters.^h **18** En die Egiptenare sal beslis weet dat ek Jehovah is wanneer ek myself verheerlik deur middel van Faraο, sy strydwaens en sy perderuiters."ⁱ

19 Toe het die engel van die ware God/ wat voor die kamp van Israel uit gegaan het, gewebeweeg en na die agterkant van die kamp gegaan. Die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle gaan staan.^k **20** So het dit tussen die kamp van die

14:17 *Lett. "sal die harte van die Egiptenare verhard".

Egiptenare en die kamp van Israel in beweeg.^a Aan die een kant was dit 'n donker wolk, en aan die ander kant het dit lig voorsien in die nag.^b Die hele nag deur het die een kamp dus nie naby die ander kamp gekom nie.

21 Moses het toe sy hand oor die see uitgesteek,^c en Jehovah het die hele nag 'n sterk oostewind laat waai om die see terug te dryf, wat die seebodem in droë grond laat verander het.^d En die waters is in twee verdeel.^e **22** Die Israeliete het dus op droë grond deur die see getrek^f terwyl die waters soos 'n muur aan hulle regterkant en aan hulle linkerkant gestaan het.^g **23** Die Egiptenare het hulle agternagesit, en al Farao se perde, strydwagens en perderuiters het agter hulle aan in die see ingegaan.^h **24** Gedurende die oggendwaak* het Jehovah vanuit die vuur-en-wolk-kolomⁱ na die kamp van die Egiptenare gekyk, en hy het die kamp van die Egiptenare verwar. **25** Hy het die wiele van hulle strydwagens aanhoudend laat afval, en hulle het gesukkel om dit te beheer. Die Egiptenare het uitgeroep: "Laat ons weglug van die Israeliete af, want Jehovah veg vir hulle teen die Egiptenare!"^j

26 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Steek jou hand uit oor die see, sodat die waters kan terugvloei oor die Egiptenare, hulle strydwagens en hulle perderuiters." **27** Moses het dadelik sy hand oor die see uitgesteek, en die see het teen dagbreek na sy normale toestand teruggekeer. Terwyl die Egiptenare daarvan weggevlug het, het Jehovah hulle in die see af-

HFST. 14

a Jos 24:6, 7

b Ps 105:39

c Eks 14:16

Han 7:36

d Jos 2:9, 10

Ps 66:6

Ps 106:9

Ps 114:3

e Ne 9:10, 11

Ps 78:13

Ps 136:13

Jes 63:12

f 1Kor 10:1

Heb 11:29

g Eks 15:8

h Eks 14:17

i Eks 13:21

j Eks 14:4

Tweede kol.

a Eks 15:1, 4

b Eks 15:5, 10

De 11:3, 4

Jos 24:6, 7

Ne 9:10, 11

Ps 78:53

Heb 11:29

c Eks 14:13

Ps 106:11

Ps 136:15

d Ps 77:19

e Eks 15:8

f De 4:20

Ps 106:8-11

g Eks 4:31

Eks 19:9

Ps 106:12

HFST. 15

h Rig 5:1

2Sa 22:1

Op 15:3

i Eks 9:16

Eks 18:10, 11

Ps 106:11, 12

j Eks 15:21

Ps 136:15

k Jes 12:2

l 2Sa 22:47

Jes 25:1

m Eks 3:15

n Ps 83:18

Ps 148:13

o Ps 24:8

p Eks 6:3

Jes 42:8

q Eks 14:27

r Eks 14:6, 7

s Ne 9:10, 11

geskud.^a **28** Die waters wat teruggevloei het, het die strydwagens bedek, sowel as die perderuiters en Farao se hele leërmag wat agter die Israeliete aan in die see ingegaan het.^b Nie eers een van hulle is gespaar nie.^c

29 Maar die Israeliete het op droë grond op die seebodem geloop,^d en die waters het soos 'n muur aan hulle regterkant en aan hulle linkerkant gestaan.^e **30** So het Jehovah Israel op daardie dag uit die hand van die Egiptenare gered,^f en Israel het die Egiptenare dood op die strand gesien. **31** Israel het ook die groot krag* gesien wat Jehovah teen die Egiptenare gebruik het, en die volk het begin om Jehovah te vrees en om geloof in Jehovah en in sy kneg Moses te stel.^g

15 Toe het Moses en die Israeliete hierdie lied vir Jehovah gesing:^h

"Ek wil vir Jehovah sing,
want hy is hoog en
verhewe.ⁱ

Die perd en sy ruiters het hy
in die see gegooi.^j

2 My sterkte en my mag is
Jah,^k want hy het tot my
redding gekom.^k

Hy is my God, en ek sal hom
prys;^l my vader se God,^m
en ek sal hom verheerlik.ⁿ

3 Jehovah is 'n magtige vegter.^o
Jehovah is sy naam.^p

4 Farao se strydwagens en sy
leërmag het Hy in die see
gegooi,^q

en sy beste soldate het in
die Rooisee gesink.^r

5 Die onstuimige waters het
hulle bedek. Soos 'n klip
het hulle in die dieptes
weggesink.^s

14:31 *Lett. "hand". **15:2** *"Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

14:24 *D.w.s. van omtrent 02:00 tot omtrent 06:00.

- 6** U regterhand, o Jehovah, is geweldig sterk.^a
U regterhand, o Jehovah, kan 'n vyand vernietig.
- 7** In u groot majesteit kan u dié neergooi wat teen u opstaan.^b
U stuur u brandende woede uit, en dit verteer hulle soos strooi.
- 8** Deur die asem van u neusgate is waters opgehoop. Dit het stilgestaan en die vloedwaters teruggehou. Die onstuimige waters het in die hart van die see gestol.
- 9** Die vyand het gesê: 'Ek sal hulle agternasit! Ek sal hulle inhaal!
Ek sal verdeel wat ek van hulle afvat, totdat ek versadig is!
Ek sal my swaard uittrek! My hand sal hulle onderwerp!'^c
- 10** U het met u asem geblaas, en die see het hulle bedek.^d
Hulle het soos lood in die onstuimige waters gesink.
- 11** Wie onder die gode is soos u, o Jehovah?^e
Wie is soos u, magtig in heiligheid?^f
Die Een wat met lofliedere gevrees moet word, die Een wat wonders doen.^g
- 12** U het u regterhand uitgesteek, en die aarde het hulle ingesluk.^h
- 13** In u lojale liefde het u die volk gelei wat u verlos het.ⁱ
In u krag sal u hulle na u heilige woonplek lei.
- 14** Volke sal hoor,^j hulle sal sidder.
Vrees* sal die inwoners van Filiste'a aangryp.

15:14 *Lett. "Geboortepyne".

HFST. 15

a Ps 60:5
Ps 89:13

b Jes 37:23

c Eks 14:5, 9

d Eks 14:21, 28

e De 3:24
2Sa 7:22

f Jes 6:3

g Eks 11:9

h Ps 78:53
Heb 11:29

i Ps 106:10

j Nu 14:13, 14

Tweede kol.

a Nu 22:1, 3

b Jos 2:9-11
Jos 5:1

c De 11:25

d 2Sa 7:23
Jes 43:1

e Nu 20:14, 17
Nu 21:21, 22

f Ps 80:8

g Ps 10:16

h Eks 14:23

i Eks 14:28

j Eks 14:22

k Eks 9:16
Eks 18:11

l Eks 14:27, 28
Ps 106:11, 12

- 15** In daardie tyd sal die sjeiks* van Edom baie bang wees, en die magtige heersers[#] van Moab sal bewe.^a
Al die inwoners van Kanaän sal mismoedig wees.^b
- 16** Vrees in angs sal hulle oorval.^c
Weens die grootheid van u arm sal hulle so bewegingloos wees soos 'n klip, totdat u volk verbytrek, o Jehovah,
totdat die volk wat u voortbring het,^d verbytrek.^e
- 17** U sal hulle bring en hulle plant op die berg van u erfdeel,^f
die vaste plek wat u gereedgemaak het vir u om in te woon, o Jehovah,
'n heiligdom, o Jehovah, wat u hande opgerig het.
- 18** Jehovah sal vir ewig en altyd as koning regeer.^g
- 19** Toe Faraó se perde met sy strydwagens en sy perde-ruiters in die see ingegaan het,^h
het Jehovah die waters van die see oor hulle laat terugvloei,ⁱ
maar die Israëliete het op droë grond deur die see geloop.^j
- 20** Toe het die profetes Mirjam, Aäron se suster, 'n tamboeryn in haar hand geneem, en al die vrouens het haar gevolg met tamboeryne en met danse.
- 21** Mirjam het gesing in antwoord op die manne se lied:
"Sing vir Jehovah, want hy is hoog en verhewe.^k
Die perd en sy ruitser het hy in die see gegooi."^l
- 22** Later het Moses Israel weg van die Rooisee gelei, en
- 15:15** *'n Sjeik was 'n stamhoof. [#]Of "die alleenheersers".

hulle het na die wildernis van Sur gegaan en drie dae lank in die wildernis geloop, maar hulle het geen water gevind nie. **23** Hulle het by Mara*^a gekom, maar hulle kon nie die water van Mara drink nie omdat dit bitter was. Daarom het hy dit Mara genoem. **24** Die volk het toe teen Moses begin kla^b en gevra: "Wat moet ons drink?" **25** Hy het tot Jehovah geroep,^c en Jehovah het hom na 'n boom gelei. Toe hy dit in die water gooi, het die water soet geword.

Daar het Hy vir hulle 'n wetsvoorskrif en 'n wetlike president vasgestel, en daar het Hy hulle getoets.^d **26** Hy het gesê: "As julle goed na die stem van Jehovah julle God luister en doen wat reg is in sy oë en aandag skenk aan sy gebooië en al sy wetsvoorskrifte onderhou,^e sal ek nie enige van die siektes oor julle bring wat ek oor die Egiptenare gebring het nie,^f want ek, Jehovah, maak julle gesond."^g

27 Daarna het hulle by Elim gekom, waar daar 12 waterfonteine en 70 palmbome was. Toe het hulle daar by die water kamp opgeslaan.

16 Nadat die hele gemeenskap van Israel uit Elim vertrek het, het hulle uiteindelik in die wildernis Sin^h gekom, wat tussen Elim en Si'nai is. Dit was die 15de dag van die tweede maand nadat hulle Egipte verlaat het.

2 Toe het die hele gemeenskap van Israel in die wildernis teen Moses en Aäron begin kla.ⁱ **3** Die Israeliete het vir hulle bly sê: "As ons maar deur Jehovah se hand in Egipte gesterf het, terwyl ons by die vleispotte^j gesit het, terwyl ons brood ge-

HFST. 15

a Nu 33:8

b Eks 16:2, 3
Eks 17:3
1Kor 10:6, 10

c Eks 17:4

d Eks 16:4
De 8:2

e De 28:1

f De 7:12, 15

g Eks 23:25
Ps 103:3

HFST. 16

h Nu 33:10, 11

i Eks 15:24
1Kor 10:6, 10

j Nu 11:4
Nu 14:2, 3

Tweede kol.

a Eks 17:3
Nu 16:13

b Ps 78:24, 25
Ps 105:40
Joh 6:31, 32
Joh 6:58
1Kor 10:1, 3

c Mt 6:11

d De 8:2

e Eks 35:2

f Eks 16:22

g Eks 6:7
Nu 16:28, 29

h Nu 21:7
1Sa 8:7

i Eks 16:2
Nu 11:1

j Eks 13:21
Nu 16:19
Mt 17:5

k Nu 14:27

eet het totdat ons versadig was. Nou het julle ons na hierdie wildernis uitgelei om hierdie hele gemeente van honger te laat sterf."^a

4 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Kyk, ek laat vir julle brood uit die hemel reën,^b en elkeen moet uitgaan en sy daaglikse deel optel,^c sodat ek hulle kan toets om te sien of hulle my wet sal volg of nie.^d **5** Maar wanneer hulle op die sesde dag^e voorberei wat hulle bymeekaargemaak het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle op elkeen van die ander dae optel."^f

6 Toe het Moses en Aäron vir al die Israeliete gesê: "Vandaan sal julle beslis weet dat dit Jehovah is wat julle uit Egipte uitgelei het.^g **7** Mōreoggend sal julle Jehovah se heerlikheid sien, want hy het gehoor hoe julle teen Jehovah kla. Wie is ons dat julle teen ons sou kla?"

8 Moses het verder gesê: "Wanneer Jehovah julle in die aand vleis gee en in die oggend brood gee totdat julle versadig is, sal julle sien dat Jehovah gehoor het hoe julle teen hom kla. Maar wie is ons? Julle kla nie teen ons nie, maar teen Jehovah."^h

9 Toe het Moses vir Aäron gesê: "Sê vir die hele gemeenskap van Israel: 'Kom nader voor Jehovah, want hy het gehoor hoe julle kla.'ⁱ **10** En onmiddellik nadat Aäron met die hele gemeenskap van Israel gepraat het, het hulle na die wildernis toe gedraai, en kyk! Jehovah se heerlikheid het in die wolk verskyn.^j

11 Jehovah het verder vir Moses gesê: **12** "Ek het gehoor hoe die Israeliete kla.^k Sê vir hulle: 'Wanneer dit skemer word,* sal julle vleis eet, en in die oggend sal julle brood eet

15:23 *Betekens "bitterheid".

16:12 *Lett. "Tussen die twee aande".

totdat julle versadig is,^a en julle sal beslis weet dat ek Jehovah julle God is.”^b

13 Daardie aand het kwartels gekom en die kamp bedek,^c en in die oggend was daar 'n doulaag rondom die kamp. **14** Nadat die doulaag verdamp het, was die wildernis bedek met 'n lagie fyn vlokkies,^d so fyn soos ryp op die grond. **15** Toe die Israeliete dit sien, het hulle vir mekaar gevra: “Wat is dit?” Want hulle het nie geweet wat dit is nie. Moses het vir hulle gesê: “Dit is die brood wat Jehovah julle gegee het om te eet.” **16** Dit is wat Jehovah beveel het: ‘Elkeen moet soveel bymekaarmaak as wat hy nodig het. Julle moet 'n gomer^f vir elke persoon neem volgens die aantal mense^g wat elkeen van julle in sy tent het.” **17** Die Israeliete het dit begin doen. Party het baie bymekaargemaak en ander het min bymekaargemaak. **18** Wanneer hulle dit met die gomer gemeet het, het die persoon wat baie bymekaargemaak het, nie te veel gehad nie en het die persoon wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie.^g Elkeen van hulle het opgetel wat hy nodig gehad het.

19 Toe het Moses vir hulle gesê: “Niemand moet daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie.”^h **20** Maar hulle het nie na Moses geluister nie. Toe party mense van die manna tot die oggend toe laat oorbly het, het dit wurms voortgebring en gestink, en Moses het kwaad geword vir hulle. **21** Elkeen van hulle het oggend ná oggend opgetel wat hy nodig gehad het. Wanneer die son warm geword het, het dit gesmelt.

16:16 *Omtrent 2,2 l. Sien Aanh. B14. ^aOf “siele”.

HFST. 16

a Ps 105:40

b Eks 4:5
Eks 6:7

c Nu 11:31, 34
Ps 78:27-29

d Nu 11:7
De 8:3
Ne 9:15

e Nu 21:5
De 8:14, 16
Jos 5:11, 12
Joh 6:31, 32
Joh 6:58
1Kor 10:1, 3

f Eks 16:36

g 2Kor 8:15

h Mt 6:11, 34

Tweede kol.

a Eks 16:5

b Eks 20:8
Eks 31:15
Eks 35:2
Le 23:3

c Nu 11:7, 8

d Eks 20:9, 10
Eks 31:13
De 5:15

e Nu 14:11
Ps 78:10
Ps 106:13

f Eks 31:13

g Le 23:3
De 5:13, 14

h Eks 16:15
Nu 11:7

22 Op die sesde dag het hulle twee keer soveel brood opgetel,^a twee gomers vir elke persoon. Toe het al die hoofmanne van die gemeenskap gekom en dit vir Moses vertel. **23** Hy het vir hulle gesê: “Dit is wat Jehovah gesê het: ‘Môre sal 'n spesiale rusdag* wees, 'n heilige sabbat vir Jehovah.’^b Bak wat julle nodig het en kook wat julle nodig het.^c Bêre dan alles wat oorbly en hou dit tot die oggend toe.” **24** Hulle het dit dus tot die oggend toe gebêre, net soos Moses beveel het, en dit het nie gestink nie, en daar was ook nie wurms daarin nie. **25** Toe het Moses gesê: “Eet dit vandag, want vandag is 'n sabbat vir Jehovah. Vandag sal julle dit nie op die grond vind nie. **26** Julle sal dit ses dae optel, maar op die sewende dag, die Sabbat,^d sal daar niks wees nie.” **27** Maar op die sewende dag het party van die volk tog uitgegaan om dit op te tel, maar hulle het niks gevind nie.

28 Jehovah het toe vir Moses gevra: “Hoe lank gaan julle weier om my gebooie en my wette te gehoorsaam?^e **29** Moenie vergeet dat Jehovah julle die Sabbat gegee het nie.^f Daarom gee hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Elkeen moet bly waar hy is. Op die sewende dag mag niemand sy woonplek verlaat nie.” **30** Die volk het dus op die sewende dag die Sabbat gehou.^g

31 Die huis van Israel het die brood “manna”^g genoem. Dit was wit soos koljandersaad, en dit het gesmaak soos plat brode met heuning.^h **32** Toe het Moses gesê: “Dit is wat Jeho-

16:23 *Of “sabbatsviering”. **16:30** *Of “op die sewende dag gerus”. **16:31** *Kom waarskynlik van die Hebreeuse uitdrukking “Wat is dit?”

vah beveel het: "Neem 'n gomer daarvan as iets wat in al julle geslagte bewaar moet word,^a sodat hulle die brood kan sien wat ek julle in die wildernis gegee het om te eet toe ek julle uit Egipte uitgelei het."

33 Toe het Moses vir Aäron gesê: "Neem 'n kruik en plaas 'n gomer manna daarin en sit dit voor Jehovah neer as iets wat in al julle geslagte bewaar moet word."^b **34** Net soos Jehovah Moses beveel het, het Aäron dit voor die Getuienis^c gesit sodat dit bewaar kon word. **35** Die Israeliete het die manna 40 jaar lank geëet,^d totdat hulle in 'n land gekom het wat bewoon is.^e Hulle het die manna geëet totdat hulle by die grens van die land Kanaän gekom het.^f **36** 'n Gomer is 'n tiende van 'n efa.*

17 Die hele gemeenskap van Israel het op Jehovah se bevel^g van die een plek na die ander getrek op hulle reis uit die wildernis Sin,^h en hulle het in Re'fidim kamp opgeslaan.ⁱ Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie.

2 Die volk het dus met Moses begin stry^j en gesê: "Gee vir ons water om te drink." Maar Moses het vir hulle gesê: "Hoekom stry julle met my? Hoekom hou julle aan om Jehovah te toets?"^k

3 Maar die volk was baie dors, en hulle het aangehou om teen Moses te kla^l en gesê: "Hoekom het jy ons uit Egipte uitgelei om ons en ons kinders en ons vee van die dors te laat doodgaan?"

4 Uiteindelik het Moses tot Jehovah geroep en gesê: "Wat moet ek met hierdie volk doen? Hulle gaan my nog met klippe doodgooi!"

5 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Gaan voor die volk uit en

16:36 *'n Efa was gelyk aan 22 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 16

a Ps 105:5, 40

b Heb 9:4

c Eks 27:21

d De 8:2
Ne 9:21
Ps 78:24

e Jos 5:11, 12

f Nu 33:48
De 34:1

HFST. 17

g Nu 33:2

h Nu 33:12

i Nu 33:14

j Eks 5:19, 21
Nu 14:2, 3
Nu 20:3

k Nu 14:22
Ps 78:18, 22
Ps 106:14

l Eks 16:2, 3

Tweede kol.

a Eks 7:20

b Nu 20:8
De 8:14, 15
Ne 9:15
Ps 78:15
Ps 105:41
1Kor 10:1, 4

c De 9:22

d Ps 81:7

e De 6:16
Ps 95:8, 9
Heb 3:8, 9

f Ge 36:12

g De 25:17
1Sa 15:2

h Nu 11:28

i Jos 11:15

j Eks 24:13, 14

k Jos 11:12

neem van die ouermanne van Israel saam met jou, sowel as jou staf waarmee jy die Nylrivier geslaan het.^a Neem dit in jou hand en gaan. **6** Ek sal daar voor jou op die rots in Horeb staan. Jy moet die rots slaan, en water sal daaruit kom, en die volk sal dit drink."^b Moses het dit voor die oë van die ouermanne van Israel gedoen. **7** Hy het die plek toe Massa^{*c} en Me'riba^{*d} genoem weens die stryery van die Israeliete en omdat hulle Jehovah getoets het^e deur te sê: "Is Jehovah met ons of nie?"

8 Toe het die Amalekiete^f teen Israel kom veg in Re'fidim.^g **9** En Moses het vir Josua^h gesê: "Kies vir ons manne en gaan uit om teen die Amalekiete te veg. Môre gaan ek op die top van die heuwel staan met die staf van die ware God in my hand." **10** Toe het Josua gedoen net soos Moses vir hom gesê het,ⁱ en hy het teen die Amalekiete geveg. En Moses, Aäron en Hur^j het opgeklim na die top van die heuwel.

11 Solank as wat Moses sy hande opgehou het, het die Israeliete die oorhand gekry, maar sodra hy sy hande laat sak het, het die Amalekiete die oorhand gekry. **12** Toe Moses se hande moeg geword het, het hulle 'n klip geneem en dit onder hom geplaas, en hy het daarop gesit. Toe het Aäron en Hur sy hande ondersteun, een aan elke kant, sodat sy hande in die lug gebly het totdat die son ondergegaan het. **13** So het Josua A'malek en sy volk met die swaard verslaan.^k

14 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Skryf dit as 'n herinnering in die boek en herhaal

17:7 *Beteken "toets; beproewing".
*Beteken "stryery".

dit vir Josua: 'Ek sal seker maak dat niemand onder die hemel A'malek sal onthou nie.'^a

15 Toe het Moses 'n altaar gebou en dit Jehovah-Nissi* genoem **16** en gesê: "Omdat sy hand teen die troon van Jah is,^b sal Jehovah van geslag tot geslag teen A'malek oorlog voer."^c

18 En Jetro, die priester van Mi'dian, Moses se skoonpa,^d het gehoor van alles wat God vir Moses en vir sy volk Israel gedoen het toe Jehovah Israel uit Egipte uitgelei het.^e

2 Jetro, Moses se skoonpa, het Sippo'ra, Moses se vrou, by hom in sy huis laat bly nadat Moses haar na hom toe teruggestuur het **3** saam met haar twee seuns.^f Die een seun se naam was Gersom,^g want Moses het gesê: "Ek het 'n uitlander geword wat in 'n vreemde land woon." **4** Die ander seun se naam was Eliëser,^h want hy het gesê: "Die God van my vader is my helper. Hy het my van Farao se swaard gered."^h

5 En Jetro, Moses se skoonpa, het saam met Moses se seuns en sy vrou na Moses toe gekom in die wildernis waar hy by die berg van die ware Godⁱ kamp opgeslaan het. **6** Toe het hy Moses laat weet: "Ek, jou skoonpa, Jetro,^j kom na jou toe saam met jou vrou en haar twee seuns." **7** Moses het dadelik uitgegaan om sy skoonpa te ontmoet, en hy het neergebuig en hom gesoen. Hulle het mekaar gevra hoe dit gaan, en toe het hulle in die tent ingegaan.

8 Moses het vir sy skoonpa alles vertel wat Jehovah aan Fa-

17:15 *Betekens "Jehovah is my seinpaa". **18:3** *Betekens "n uitlander daar". **18:4** *Betekens "my God is Helper".

HFST. 17

a Nu 24:20
De 25:19
1Kr 4:42, 43

b Op 19:1

c 1Sa 15:20
Est 9:24

HFST. 18

d Eks 2:16, 21
Eks 3:1

e Jos 2:9, 10
Jos 9:3, 9

f Han 7:29

g Eks 2:22

h Eks 2:15

i Eks 19:2
1Kn 19:8, 9

j Eks 4:18
Nu 10:29

Tweede kol.

a Eks 7:3
Eks 14:27, 28
De 4:34

b Eks 15:22
Eks 16:3

c Eks 15:11
Ps 95:3
Ps 97:9

d De 4:5
De 5:1

rao en Egipte gedoen het om Israel te help^a en van al die probleme wat hulle op die pad gehad het^b en hoe Jehovah hulle verlos het. **9** Jetro was baie bly oor al die goeie dinge wat Jehovah vir Israel gedoen het deur hulle van Egipte* te red. **10** Toe het Jetro gesê: "Mag Jehovah geloof word, wat julle van Egipte en van Farao gered het, en wat die volk uit Egipte se greep gered het. **11** Nou weet ek dat Jehovah groter is as al die ander gode^c as gevolg van wat hy gedoen het aan diegene wat hoogmoedig was en sy volk sleg behandel het." **12** Toe het Jetro, Moses se skoonpa, 'n brandoffer en offerandes vir God gebring, en Aäron en al die ouermanne van Israel het 'n maaltyd saam met Moses se skoonpa voor die ware God kom eet.

13 Die volgende dag het Moses soos gewoonlik gaan sit om as regter vir die volk op te tree, en die volk het van die oggend tot die aand voor Moses bly staan. **14** Toe Moses se skoonpa sien wat hy alles vir die volk doen, het hy gevra: "Wat doen jy alles vir die volk? Hoekom sit jy hier alleen met die hele volk wat van die oggend tot die aand voor jou staan?" **15** Moses het vir sy skoonpa gesê: "Omdat die volk na my toe bly kom om God se leiding te vra. **16** Wanneer 'n saak ontstaan, word dit aan my voorgelê, en ek moet tussen die een persoon en die ander oordeel, en ek maak die besluite van die ware God en sy wette bekend."^d

17 Moses se skoonpa het vir hom gesê: "Die manier waarop jy te werk gaan, is nie goed nie. **18** Jy sal beslis uitgeput

18:9 *Lett. "uit die hand van Egipte".

raak, jy en hierdie volk wat by jou is, want hierdie las is te groot vir jou, en jy kan dit nie alleen dra nie. **19** Luister nou na my. Ek sal vir jou raad gee, en God sal met jou wees.^a Jy moet as verteenwoordiger van die volk voor die ware God dien,^b en jy moet die sake voor die ware God bring.^c **20** Jy moet hulle die wetsvoorskrifte en die wette leer^d en aan hulle bekend maak watter weg hulle moet volg en wat hulle moet doen. **21** Maar jy moet uit die volk bekwame manne^e kies wat God vrees, betroubare manne wat oneerlike wins haat.^f Stel hulle oor die volk aan as hoofde oor 1 000, hoofde oor 100, hoofde oor 50 en hoofde oor 10.^g **22** Wanneer sake ontstaan,^{*} moet hulle as regters optree vir die volk, en hulle moet al die moeilike sake voor jou bring,^h maar hulle moet al die klein sake self hanteer. Maak dit vir jou makliker deur hulle toe te laat om die las saam met jou te dra.ⁱ **23** As jy dit doen, en as God jou so beveel, sal jy die las kan dra en sal almal tevrede huis toe gaan.”

24 Moses het onmiddellik na sy skoonpa geluister en alles gedoen wat hy gesê het. **25** Moses het bekwame manne uit die hele Israel gekies en hulle as hoofde oor die volk aangesel – hoofde oor 1 000, hoofde oor 100, hoofde oor 50 en hoofde oor 10. **26** Hulle het dus as regters vir die volk opgetree wanneer sake ontstaan het. Hulle het die moeilike sake na Moses toe gebring,^j maar hulle het elke klein saak self hanteer. **27** Daarna het Moses van sy skoonpa afskeid geneem,^k en sy skoonpa het na sy land teruggegaan.

18:22 *Lett. “Elke keer”.

HFST. 18

a Jos 1:5,17

b Eks 20:19

c Nu 27:1-5

d De 7:11

e Nu 11:16,17

De 1:3

Han 6:3

f Eks 23:8

1Ti 3:2,3

Tit 1:7

1Pe 5:2

g De 1:15

Han 14:23

h Le 24:10,11

Nu 15:32,33

De 1:17

i Nu 11:17

j Han 15:2

k Nu 10:29

Tweede kol.

HFST. 19

a Eks 17:1

b Eks 3:1,12

c Han 7:38

d De 4:34

e De 32:11,12

Jes 63:9

f 1Kn 8:53

Ps 135:4

g De 10:14

h Le 11:44

De 7:6

1Pe 2:9

Op 5:9,10

i Eks 24:3

j Eks 24:7

Jos 24:24

19 In die derde maand nadat die Israeliete Egipte verlaat het, op dieselfde dag,^{*} het hulle in die wildernis Si'nai gekom. **2** Hulle het van Re'fidim^a af weggetrek en in die wildernis Si'nai gekom en daar kamp opgeslaan. Israel het daar voor die berg kamp opgeslaan.^b

3 Toe het Moses opgeklim na die ware God toe, en Jehovah het uit die berg na hom geroep^c en gesê: “Dit is wat jy vir die huis van Jakob, vir die Israeliete, moet sê: **4** ‘Julle het self gesien wat ek aan die Egiptenare gedoen het,^d sodat ek julle op die vlerke van 'n arend kon dra en julle na my toe kon bring.^e **5** As julle dan nou my stem streng gehoorsaam en my verbond hou, dan sal julle beslis my spesiale eiendom^{*} uit al die volke^f word, want die hele aarde behoort aan my.^g **6** Julle sal vir my 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie^h word.’ Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê.”

7 Toe het Moses gegaan en die ouermanne van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles gesê wat Jehovah hom beveel het.ⁱ **8** Daarna het die hele volk eenstemmig geantwoord: “Alles wat Jehovah gesê het, is ons bereid om te doen.”^j Moses het onmiddellik vir Jehovah gaan sê wat die volk se antwoord is. **9** En Jehovah het vir Moses gesê: “Ky! Ek kom in 'n donker wolk na jou toe, sodat die volk kan hoor wanneer ek met jou praat en sodat hulle altyd ook in jou geloof kan stel.” Toe het Moses vir Jehovah vertel wat die volk gesê het.

10 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Gaan na die volk toe

19:1 *Verwys blykbaar na dieselfde dag waarop hulle uit Refidim vertrek het. 19:5 *Of “kosbare besitting”.

en heilig hulle vandag en môre, en hulle moet hulle klere was. **11** En hulle moet gereed wees vir die derde dag, want op die derde dag sal Jehovah voor die oë van die hele volk op die berg Si'nai neerdaal. **12** Jy moet vir die volk grense reg rondom die berg vasstel en vir hulle sê: 'Pasop dat julle nie teen die berg opklim of aan die rand daarvan raak nie. Enigiets of enigiemand wat aan die berg raak, sal beslis doodgemaak word. **13** Geen hand mag aan die skuldige raak nie, maar hy moet met klippe doodgegooi word of deurboor word.* Of dit nou 'n dier of 'n mens is, hy mag nie lewe nie.^a Maar wanneer die ramshoring gehoor word,^b mag hulle tot by die berg kom."

14 Toe het Moses teen die berg afgeklim na die volk toe, en hy het die volk begin heilig, en hulle het hulle klere gewas.^c **15** Hy het vir die volk gesê: "Maak gereed vir die derde dag. Niemand mag seksuele omgang hê nie."^{*}

16 Op die oggend van die derde dag was daar donderslae en weerlig, en daar was 'n swaar wolk^d op die berg en 'n baie harde geluid van 'n horing, en almal in die kamp het begin bewe.^e **17** Moses het die volk toe uit die kamp gelei om die ware God te ontmoet, en hulle het hulle plek aan die voet van die berg ingeneem. **18** Die hele berg Si'nai het gerook, want Jehovah het in vuur daarop neergedaal.^f En die rook het soos die rook van 'n oond opgegaan, en die hele berg het geweldig geskud.^g **19** Terwyl die geluid van die horing al hoe harder geword het,

19:13 *Moontlik met 'n pyl geskiet.
19:15 *Lett. "Moenie naby 'n vrou kom nie".

HFST. 19

a Heb 12:20

b Eks 20:18

c Eks 19:10

d De 4:11
1Kn 8:12
Ps 97:2

e Heb 12:18-21

f Eks 24:17
De 4:11, 12
2Kr 7:1-3

g Ps 68:8

Tweede kol.

a Eks 24:12

b Le 10:1, 2
1Kr 13:10

c Eks 19:12

d Nu 16:19, 35

HFST. 20

e De 5:22
Han 7:38f De 5:6
Ho 13:4

g De 5:7-10

h Le 26:1
De 4:15, 16
Jes 40:25
Han 17:29i Eks 23:24
1Kor 10:20
1Jo 5:21

het Moses gepraat, en die stem van die ware God het hom geantwoord.

20 Jehovah het op die berg Si'nai neergedaal, op die top van die berg. Toe het Jehovah Moses na die top van die berg geroep, en Moses het opgeklim.^a **21** Jehovah het toe vir Moses gesê: "Klim af en waarsku die volk om nie verby die grense te probeer gaan om na Jehovah te kyk nie, anders sal baie van hulle sterf. **22** En laat die priesters wat Jehovah gereeld nader, hulleself heilig, sodat Jehovah hulle nie doodmaak nie."^b **23** Moses het toe vir Jehovah gesê: "Die volk kan nie teen die berg Si'nai opklim nie, want u het ons reeds gewaarsku en gesê: 'Stel grense vas rondom die berg en heilig dit.'^c **24** Maar Jehovah het vir hom gesê: "Gaan, klim af, en dan moet jy weer opklim, jy en Aäron saam met jou, maar moenie toelaat dat die priesters en die volk verby die grense gaan om na Jehovah toe op te klim nie, sodat hy hulle nie doodmaak nie."^d **25** Moses het dus afgeklim na die volk toe en vir hulle gesê wat God gesê het.

20 Toe het God al hierdie woorde gesê:^e

2 "Ek is Jehovah julle God wat julle uit Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei het.^f

3 Jy mag geen ander gode buiten my* hê nie.^g

4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of 'n afbeelding* maak van enigiets wat bo in die hemel, onder op die aarde of in die waters op^h die aarde is nie.^h **5** Jy mag nie voor hulle neerbuig of verlok word om hulle te dien nie,ⁱ want ek, Jehovah jou God, is 'n

20:3 *Of "in verset teen my". Lett. "teen my aangesig". 20:4 *Of "vorm". ^aLett. "onder".

God wat uitsluitlike toegewydeheid vereis,^a wat straf vir die oortreding van vaders oor kinders bring, oor die derde geslag en oor die vierde geslag van dié wat my haat, **6** maar wat lojale liefde betoon aan die duisendste geslag van dié wat my liefhet en my gebooie gehoorsaam.^b

7 "Jy mag nie die naam van Jehovah jou God op 'n disrespekvolle manier gebruik nie,^c want Jehovah sal nie die een wat Sy naam op 'n disrespekvolle manier gebruik, ongestraf laat bly nie.^d

8 "Hou die Sabbatdag sodat dit heilig sal bly.^e **9** Jy het ses dae om te werk en om alles te doen wat jy moet,^f **10** maar die sewende dag is 'n sabbat vir Jehovah jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of jou slaaf of jou slavin of jou mak dier of die uitlander wat in julle stede* woon nie.^g **11** Want in ses dae het Jehovah die hemel, die aarde, die see, en alles wat in hulle is, gemaak, en op die sewende dag het hy begin rus.^h Daarom het Jehovah die Sabbatdag gesê en dit geheilig.

12 "Eer* jou pa en jou maⁱ sodat jy lank kan lewe in die land wat Jehovah jou God aan julle gee.^j

13 "Jy mag nie moord pleeg nie.^k

14 "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.^l

15 "Jy mag nie steel nie.^m

16 "Jy mag nie valslik getuig wanneer jy getuienis teen jou medemens aflê nie.ⁿ

17 "Jy mag nie jou medemens se huis bekeer nie. Jy mag nie jou medemens se vrou bekeer nie,^o en ook nie sy slaaf of sy slavin of sy bul of sy don-

20:10 *Lett. "poorte". 20:12 *Of "Respekteer".

HFST. 20

- a Eks 34:14
Mt 4:10
Lu 10:27
b Pr 12:13
c Le 19:12
d Le 24:15, 16
De 5:11
e Eks 16:23
Eks 31:13, 14
De 5:12-14
f Eks 23:12
g Eks 16:29
Eks 34:21
h Ge 2:2
i Eks 21:15
Le 19:3
Spr 1:8
j De 5:16
Mt 15:4
Ef 6:2, 3
k Ge 9:6
De 5:17
Jak 2:11
1Jo 3:15
Op 21:8
l Ge 39:7-9
De 5:18
Spr 6:32
Mt 5:27, 28
Ro 13:9
1Kor 6:18
Heb 13:4
m Le 19:11
De 5:19
Mr 10:19
1Kor 6:9, 10
Ef 4:28
n Le 19:16
De 5:20
De 19:16-19
o Mt 5:28

Tweede kol.

- a De 5:21
Ro 7:7
b Eks 19:16
Heb 12:18, 19
c Han 7:38
Ga 3:19
d De 8:2
e Jos 24:14
Job 28:28
Spr 1:7
f De 5:5
Ps 97:2
g De 4:36
Ne 9:13
h Han 17:29
i De 12:5, 6
2Kor 6:6
j De 27:5
Jos 8:30, 31

kie of enigiets wat aan jou medemens behoort nie."^a

18 En die hele volk het die donderslae en die geluid van die horing gehoor en die weerlig en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien, het hulle begin bewe en op 'n afstand gestaan.^b **19** En hulle het vir Moses gesê: "Praat jy met ons, en ons sal luister, maar moenie dat God met ons praat nie, want ons is bang dat ons sal sterf."^c **20** Toe het Moses vir die volk gesê: "Moenie bang wees nie, want die ware God het gekom om julle te toets^d sodat die vrees vir hom in julle kan bly en sodat julle nie sondig nie."^e **21** En die volk het op 'n afstand bly staan, maar Moses het nader gegaan aan die donker wolk waar die ware God was.^f

22 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê: 'Julle het self gesien dat ek uit die hemel met julle gepraat het.^g **23** Julle mag nie vir julle gode van silwer of goud maak nie, want julle mag geen ander gode buiten my hê nie.^h **24** Julle moet 'n altaar van grond vir my maak, en julle moet julle brandoffers, julle vrede-offers,* julle kleinvee en julle beeste daarop offer. Op elke plek waar ek wil hê dat my naam onthou moet word,^{#i} sal ek na julle toe kom en julle seën. **25** As julle vir my 'n klipaltaar maak, mag julle nie klippe gebruik wat met gereedskap gekap is nie.^j Want as julle met julle beitel daaraan kap, sal julle dit onheiligh. **26** En julle mag nie met trappe na my altaar opklim nie, sodat julle geslagsdele* nie daarop ontbloot word nie.'

20:24 *Of "gemeenskapsoffers". #Of "waar ek aanbid moet word". 20:26 *Lett. "naaktheid".

21 “Dit is die regterlike bevelle wat jy aan hulle moet oordra:^a

2 “As jy ’n Hebreeuse slaaf koop,^b moet hy ses jaar lank as ’n slaaf dien, maar in die sewende jaar moet hy vrygelaat word sonder dat hy enigiets hoef te betaal.^c **3** As hy alleen gekom het, moet hy alleen weggaan. As hy ’n vrou het, moet sy vrou saam met hom weggaan. **4** As sy meester vir hom ’n vrou gee en hy seuns of dogters by haar het, moet die vrou en haar kinders haar meester s’n word, en hy moet alleen weggaan.^d **5** Maar as die slaaf uitdruklik sê: ‘Ek het my meester, my vrou en my seuns lief, en ek wil nie vrygelaat word nie,’^e **6** moet sy meester hom voor die ware God bring. Hy moet hom dan tot by die deur of die deurpos bring, en sy meester moet ’n els neem en dit deur sy oor steek, en hy sal vir die res van sy lewe sy slaaf wees.

7 “As ’n man sy dogter as ’n slavin verkoop, sal sy nie op dieselfde manier as ’n manlike slaaf vrygelaat word nie. **8** As haar meester nie tevrede met haar is nie en haar nie as ’n byvrou wil hê nie, maar haar aan iemand anders wil verkoop,* sal hy nie die reg hê om haar aan uitlanders te verkoop nie, aangesien hy haar verraaï het. **9** As hy haar vir sy seun kies, moet hy haar die regte van ’n dogter gee. **10** As hy vir hom nog ’n vrou neem, moet sy nog steeds die kos en klere ontvang wat die eerste vrou toekom, en hy moet aanhou om die huwelikspilg^f teenoor haar na te kom. **11** As hy hierdie drie dinge nie vir haar gee nie, moet sy vrygelaat word sonder dat sy enige geld hoef te betaal.

21:8 *Lett. “haar laat loskoop”.

HFST. 21

a Eks 24:3
De 4:14

b Le 25:39, 40

c De 15:12

d De 15:12

e De 15:16, 17

f 1Kor 7:3

Tweede kol.

a Ge 9:6
Nu 35:30
Mt 5:21

b Nu 35:11
Nu 35:22-25
De 4:42
De 19:3-5
Jos 20:7-9

c Nu 15:30

d De 19:11, 12
1Kn 1:50
1Kn 2:29
1Jo 3:15

e Eks 20:12

f Ge 40:15

g Ge 37:28

h De 24:7

i Le 20:9
Spr 20:20
Spr 30:11, 17
Mt 15:4

j Ge 9:5, 6
Le 24:17

k Ps 139:16
Jer 1:5

12 “Enigeen wat iemand so slaan dat hy sterf, moet doodgemaak word.^a **13** Maar as hy dit per ongeluk doen en die ware God dit toelaat, sal ek vir julle ’n plek aanwys waarheen hy kan vlug.^b **14** As ’n man baie kwaad word vir sy medemens en hy hom opsetlik doodmaak,^c moet die man sterf, al moet julle hom van my altaar af wegneem.^d **15** Iemand wat sy pa of sy ma slaan, moet doodgemaak word.^e

16 “Enigeen wat iemand ontvoer^f en hom verkoop of wat betrap word terwyl die ontvoerde persoon by hom is,^g moet doodgemaak word.^h

17 “Enigiemand wat sy pa of sy ma vervloek, moet doodgemaak word.ⁱ

18 “Dit is wat moet gebeur as mans stry en die een sy medemens met ’n klip of met die vuis* slaan en hy nie sterf nie, maar in die bed moet bly: **19** As hy kan opstaan en buite kan rondloop met ’n stut, moet die een wat hom geslaan het, nie gestraf word nie. Hy moet slegs vergoed vir die beseerde man se verlore werkstyd totdat hy heeltemal gesond is.

20 “As ’n man sy slaaf of sy slavin met ’n stok slaan en die persoon as gevolg hiervan sterf, moet daardie persoon gewreek word.^j **21** Maar as hy ’n dag of twee bly lewe, moet hy nie gewreek word nie, want hy is met sy eienaar se geld gekoop.

22 “As mans met mekaar baklei en hulle ’n swanger vrou seermaak en haar kind te vroeg gebore word,^{*k} maar daar nie ’n besering is wat tot die dood lei nie, moet die oortreder die skadevergoeding betaal wat die

21:18 *Of moontlik “’n stuk gereedskap”. **21:22** *Lett. “en haar kinders uitkom”.

vrou se man van hom eis. Hy moet dit deur die regters betaal.^a **23** Maar as daar 'n beseering is wat tot die dood lei, moet jy lewe vir lewe* gee.^b **24** Jy moet oog vir oog gee, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet,^c **25** brandwond vir brandwond, wond vir wond, hou vir hou.

26 "As 'n man sy slaaf of sy slavin op die oog slaan en dit permanent beskadig, moet hy die slaaf vrylaat as vergoeding vir sy oog.^d **27** En as hy sy slaaf of sy slavin se tand uit-slaan, moet hy die slaaf vrylaat as vergoeding vir sy tand.

28 "As 'n bul 'n man of 'n vrou stoot en die persoon sterf, moet die bul met klippe doodgegooi word^e en moet sy vleis nie geëet word nie. Die eienaar van die bul sal nie gestraf word nie. **29** Maar as 'n bul die gewoonte gehad het om mense te stoot en sy eienaar gewaarsku is, maar hy die bul nie onder beheer gehou het nie, en dit 'n man of 'n vrou doodgemaak het, moet die bul met klippe doodgegooi word, en sy eienaar moet ook doodgemaak word. **30** As hy 'n losprys* moet betaal, dan moet hy alles betaal wat van hom geëis word as die loskoopprys vir sy lewe. **31** As die bul 'n seun of 'n dogter stoot, sal dieselfde regterlike bevel vir die bul se eienaar geld. **32** As die bul 'n slaaf of 'n slavin stoot, moet die bul se eienaar 30 sikkels* aan die slaaf se meester gee, en die bul moet met klippe doodgegooi word.

33 "As 'n man die deksel van 'n put afhaal of 'n put grawe en dit nie bedek nie en 'n bul of 'n

HFST. 21

a Eks 18:25, 26
De 16:18
De 17:8

b Ge 9:6
Le 24:17
Nu 35:31
Op 21:8

c Le 24:20
Mt 5:38

d Ef 6:9
Kol 4:1

e Ge 9:5
Nu 35:33

Tweede kol.

a Eks 22:6
Eks 22:14
De 22:8

HFST. 22

b 2Sa 12:6
Lu 19:8

donkie daarin val, **34** moet die eienaar van die put vergoeding betaal.^a Hy moet die bedrag daarvoor aan die eienaar betaal, en die dooie dier sal syne word. **35** As een man se bul 'n ander man se bul seermaak en dit doodgaan, dan moet hulle die lewende bul verkoop en die geld wat daarvoor betaal is, verdeel. Hulle moet ook die dooie dier verdeel. **36** Of as dit bekend was dat 'n bul die gewoonte gehad het om ander diere te stoot, maar sy eienaar die bul nie onder beheer gehou het nie, moet hy vergoeding betaal, bul vir bul, en die dooie dier sal syne word.

22 "As 'n man 'n bul of 'n skaap steel en hy dit slag of verkoop, moet hy met vyf bulle vergoed vir 'n bul en met vier skape vir 'n skaap.^b

2 ("As 'n dief^c betrap word terwyl hy inbreek en hy geslaan word en sterf, is daar geen bloedskulde in so 'n geval nie. **3** Maar as dit gebeur nadat die son opgekom het, sal die persoon wat hom doodgemaak het, wel bloedskuldig wees.)

"Hy moet vergoeding betaal. As hy niks het nie, moet hy verkoop word vir die goed wat hy gesteel het. **4** As die dier wat hy gesteel het, lewend by hom gevind word, of dit nou 'n bul of 'n donkie of 'n skaap is, moet hy dubbele vergoeding betaal.

5 "As iemand sy diere in 'n landery of 'n wingerd laat wei en hy hulle toelaat om in iemand anders se landery te wei, moet hy die beste van sy eie landery of die beste van sy eie wingerd as vergoeding gee.

6 "As 'n brand uitbreek en na doringbosse versprei en dit graanbondels of ongesnyde graan of 'n landery vernietig, moet die persoon wat die brand

21:23 *Of "siel vir siel". 21:30 *Of "vergoeding". 21:32 *'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

c Eks 20:15

veroorzaak het, vergoeding betaal vir wat verbrand is.

7 "As 'n man vir sy medemens geld of iets anders gee om te hou en dit uit sy medemens se huis gesteel word, moet die dief, as hy gevind word, dubbele vergoeding betaal.^a **8** As die dief nie gevind word nie, moet die eienaar van die huis voor die ware God gebring word^b sodat daar vasgestel kan word of hy sy medemens se goed gevat het. **9** As iemand sê dat iemand anders sy bul het, of sy donkie, skaap, kledingstuk of enigiets wat hy verloor het, moet albei partye hulle saak voor die ware God bring^c om te bepaal wie die regte eienaar is. Die persoon wat deur God skuldig verklaar word, moet dubbele vergoeding aan sy medemens betaal.^d

10 "As 'n man vir sy medemens 'n donkie of 'n bul of 'n skaap of enige mak dier gee om op te pas en dit doodgaan of vermink word of weggelei word sonder dat iemand dit sien, **11** moet die man aan wie dit toevertrou was, 'n eed voor Jehovah aflê dat hy nie sy medemens se goed gevat het nie, en die eienaar moet dit aanvaar. Die ander man hoef nie vergoeding te betaal nie.^e **12** Maar as die dier gesteel is by die man aan wie dit toevertrou was, moet hy aan die eienaar vergoeding betaal. **13** As dit deur 'n wilde dier verskeur is, moet hy dit as bewys bring. Hy hoef nie vergoeding te betaal vir iets wat deur 'n wilde dier verskeur is nie.

14 "Maar as iemand vra om 'n dier by sy medemens te leen en dit vermink word of doodgaan terwyl die eienaar nie daar is nie, moet die man wat dit geleen het, vergoeding betaal. **15** As die eienaar daar is,

HFST. 22

a Eks 22:4

b De 16:18
De 19:17c De 16:18
De 25:1

d Eks 22:4

e Le 6:2-5

Tweede kol.

a De 22:28, 29

b Le 19:26
Le 20:6
De 18:10-12
1Sa 28:3
Ga 5:20
Op 22:15c Le 18:23
Le 20:15
De 27:21d Nu 25:3
1Kn 18:40
1Kor 10:20

e Le 25:35

f Le 19:33, 34
De 10:19g De 27:19
Jak 1:27h Ps 10:18
Jak 5:4i Le 25:35, 36
De 23:19
Lu 6:34, 35

j De 24:6

hoef hy nie vergoeding te betaal nie. As dit gehuur is, is die huurgeld die vergoeding.

16 "En as 'n man 'n maagd verlei wat nie verloof is nie en hy seksuele omgang met haar het, moet hy die bruidsprys vir haar betaal sodat sy sy vrou kan word.^a **17** As haar pa volstrek weier om haar aan hom te gee, moet hy dieselfde bedrag betaal wat normaalweg as bruidsprys betaal word.

18 "Jy mag 'n towenares nie laat lewe nie.^b

19 "Elkeen wat seksuele omgang met 'n dier het, moet beslis doodgemaak word.^c

20 "Enigiemand wat aan enige ander gode behalwe Jehovah offerandes bring, moet vernietig word.^d

21 "Jy mag nie 'n uitlander wat onder julle woon, sleg behandel of onderdruk nie,^e want julle was uitlanders in Egipte.^f

22 "Jy mag nie 'n weduwee of 'n weeskind* sleg behandel nie.^g **23** As jy hulle enigins sleg behandel en hulle tot my om hulp roep, sal ek hulle beslis hoor.^h **24** Ek sal woedend word, en ek sal julle met die swaard doodmaak, en julle vrouens sal weduwees word en julle kinders sal weeskinders word.

25 "As jy geld leen aan enigiemand wat arm* is onder my volk, aan iemand wat onder julle woon, mag jy nie soos 'n skuldeiser word nie. Jy mag hom nie rente vra nie.ⁱ

26 "As jy jou medemens se kleding as 'n waarborg vir 'n lening* neem,^j moet jy dit teen sondering vir hom teruggee, **27** want dit is sy enigste bedekking, sy klere om sy liggaam te

22:22 *Lett. "vaderlose seun". 22:25 *Of "n geteisterde". 22:26 *Of "as 'n pand".

bedek. Wat sal hy dra wanneer hy gaan slaap?^a Wanneer hy tot my roep, sal ek beslis hoor, want ek het medelye.*^b

28 "Jy mag God nie vervloek nie,^c en jy mag ook nie 'n hoofman* onder jou volk vervloek# nie.^d

29 "Jy moenie huiwer om offerandes te bring uit jou oorvloedige opbrengs en die oorvloed van jou wynpers en oliepers nie.^e Jy moet jou eersgebore seun aan my gee.^f **30** Dit is wat jy met jou bul en jou skaap moet doen:^g Sewe dae moet hy by sy ma bly. Op die agtste dag moet jy die dier vir my gee.^h

31 "Julle moet heilige mense vir my wees,ⁱ en julle mag nie die vleis eet van enigiets in die veld wat deur 'n wilde dier verskeur is nie.^j Julle moet dit vir die honde gooi.

23 "Jy mag nie 'n valse gerug versprei nie.^k Moenie met 'n goddelose persoon saamwerk deur 'n kwaadwillige getuie te wees nie.^l **2** Jy mag nie agter die meerderheid aangaan om te doen wat sleg is nie, en wanneer jy getuienis aflê, mag jy nie die reg verdraai net om agter die meerderheid aan te gaan nie. **3** Jy moet onpartydig wees in 'n saak waarby 'n arm persoon betrokke is.^m

4 "As jy op jou vyand se bul of donkie afkom wat weg dwaal, moet jy dit na hom toe terugneem.ⁿ **5** As jy sien dat die donkie van iemand wat jou haat, onder sy vrug geval het, moet jy nie die dier net so los nie. Jy moet hom help om die dier te bevry.^o

6 "Jy mag nie die reg verdraai in 'n hofsak waarby 'n arm persoon betrokke is nie.^p

22:27 *Sien Woordelys. 22:28 *Of "heerser". #Of "beledig; uitskel".

HFST. 22

a De 24:13

b De 10:18
Ps 34:6

c Le 24:11, 14

d Pr 10:20
Han 23:5
Jud 8

e Spr 3:9
2Kor 9:7

f Eks 13:2

g De 15:19

h Le 22:27

i Le 19:2
Nu 15:40
1Pe 1:15

j Le 22:3, 8

HFST. 23

k Le 19:16
Spr 6:16, 19

l De 19:18, 19
Spr 19:5

m Le 19:15

n Spr 25:21
1Te 5:15

o De 22:4
Lu 6:27
Ro 12:21

p De 16:19
2Kr 19:7

Tweede kol.

a Spr 17:15
Ro 1:18
Ro 2:6

b Pr 7:7

c Le 19:34

d Le 25:3, 4

e Eks 20:9, 10
De 5:14

f De 4:9

g De 12:3
Jos 23:6, 7

h De 16:16

i Le 23:6
Lu 22:7

j Eks 12:18

7 "Jy moet niks te doen hê met 'n valse beskuldiging* nie, en moenie die onskuldige en die regverdige doodmaak nie, want ek sal nie die goddelose regverdig verklaar# nie.^a

8 "Jy mag nie 'n omkoopgeskenk aanvaar nie, want die omkoopgeskenk verblind mense wat insig het en kan die woorde van regverdige mense verdraai.^b

9 "Jy mag nie 'n uitlander wat onder julle woon, onderdruk nie. Julle weet hoe dit voel om uitlanders te wees, want julle was uitlanders in Egipte.^c

10 "Jy moet ses jaar lank saad in jou land saai en die opbrengs daarvan insamel.^d **11** Maar in die sewende jaar moet jy dit onbewerk laat lê. Die armes onder jou volk moet daarvan eet, en wat hulle laat oorbly, sal die wilde diere van die veld eet. Dit is wat jy met jou wingerd en jou olyfboord moet doen.

12 "Ses dae lank moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy nie werk nie, sodat jou bul en jou donkie en die seun van jou slavin en die uitlander wat onder julle woon, kan rus.^e

13 "Sorg dat julle alles doen wat ek vir julle gesê het,^f en julle mag nie die name van ander gode aanroep nie. Dit mag nie oor julle lippe kom nie.^g

14 "Drie keer per jaar moet julle vir my 'n fees vier.^h **15** Julle moet die Fees van die Ongesuurde Brodeⁱ vier. Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet, net soos ek julle beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Abib,^j want in daardie maand het julle Egipte verlaat. Niemand mag met

23:7 *Lett. "woord". #Of "vryspreek". 23:15 *Sien Aanb. B15.

leë hande voor my verskyn nie.^a

16 Julle moet ook die Fees van die Oes* vier, die fees van die eerste opbrengs van julle arbeid, dit wil sê van wat julle in die landerye gesaai het.^b Aan die einde van die jaar moet julle die Fees van die Insameling[#] vier, wanneer julle die vrugte van julle arbeid uit die landerye ingesamel het.^c **17** Drie keer per jaar moet al die mans onder julle voor die ware Heer, Jehovah, verskyn.^d

18 "Jy mag nie die bloed van my offerande saam met enigiets offer wat met suurdeeg gemaak is nie. En die offerandes van vet wat by my feeeste geoffer word, mag nie oornag tot die oggend toe gehou word nie.

19 "Jy moet die beste van die eerste opbrengs van jou grond na die huis van Jehovah jou God bring.^e

"Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.^f

20 "Ek stuur 'n engel voor julle uit^g om julle op die pad te beskerm en om julle na die plek te bring wat ek gereedgemaak het.^h **21** Luister na hom en gehoorsaam sy stem. Moenie teen hom in opstand kom nie. Hy sal nie julle oortredings vergewe nie,ⁱ want hy kom in my naam.

22 Maar as julle sy stem streng gehoorsaam en alles doen wat ek sê, dan sal ek vyandig optree teenoor julle vyande en julle teenstanders teëstaan.

23 Want my engel sal voor julle uit gaan en julle bring na die Amoriëte, die Hetiëte, die Perissiete, die Kanaäniete, die Hewiëte en die Jebusiete, en ek sal hulle vernietig.^j **24** Julle mag nie voor hulle gode neerbuig of oorreed word om hulle te dien

23:16 *Ook die Fees van die Weke, of Pinkster, genoem. [#]Ook die Huttefees genoem.

HFST. 23

- a De 16:17
- b Nu 28:26
De 16:9, 10
Han 2:1
- c De 16:13
Ne 8:14
Joh 7:2
- d De 12:5, 6
- e Nu 18:8, 12
1Kor 15:20
- f De 14:21
Spr 12:10
- g Eks 14:19
- h Nu 20:16
- i Nu 14:35
Jos 24:19
- j Eks 34:11
Jos 5:13, 14
Jos 24:8

Tweede kol.

- a Eks 20:5
Le 18:3
De 12:30
2Kr 33:2
- b Eks 20:3
Nu 33:52
- c De 6:13
De 10:12
Jos 22:5
Mt 4:10
- d De 7:13
- e De 7:15
- f De 7:14
De 28:4
- g De 2:25
Jos 2:9
- h De 7:23, 24
- i De 7:20
Jos 2:11
- j Jos 24:11
- k De 7:22
- l De 9:4
- m Ge 15:18
De 1:7
Jos 1:4
1Kn 4:21
- n Rig 1:4
Rig 11:21
- o Eks 34:12
Nu 25:1, 2
De 7:2
2Kor 6:14
- p Jos 23:12, 13
Rig 1:28
Ps 106:36

HFST. 24
q Le 10:1

nie, en julle mag nie hulle gebruike navolg nie.^a Julle moet hulle afgode eerder vernietig en hulle heilige pilare stukkend breek.^b **25** Julle moet Jehovah julle God dien,^c en hy sal julle brood en julle water seën.^d Ek sal siekte onder julle verwyder.^e **26** Die vrouens in julle land sal nie miskrame hê of onvrugbaar wees nie,^f en ek sal julle 'n lang lewe gee.

27 "Ek sal sorg dat die volke wat julle gaan teëkom, vir my bang sal wees^g nog voordat julle daar aankom, en ek sal hulle verwar, en ek sal sorg dat al julle vyande verslaan word en van julle af wegvlug.^h **28** Ek sal 'n gevoel van hopeloosheid* voor julle uitstuur,ⁱ en dit sal die Hewiëte, die Kanaäniete en die Hetiëte voor julle uit verdryf.^j **29** Ek sal hulle nie in een jaar voor julle uit verdryf nie, sodat die land nie verlate word en die wilde diere van die veld nie vermeerder en vir julle 'n gevaar word nie.^k **30** Ek sal hulle bietjie vir bietjie voor julle uit verdryf, totdat julle vrugbaar word en die land in besit neem.^l

31 "Ek sal julle grens vasstel van die Rooisee af tot by die see van die Filistyne en van die wildernis af tot by die Rivier,^m want ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en julle sal hulle voor julle uit verdryf.ⁿ **32** Julle mag nie 'n verbond met hulle of hulle gode maak nie.^o **33** Hulle mag nie in julle land woon nie, sodat hulle julle nie teen my laat sondig nie. As julle hulle gode dien, sal dit beslis vir julle 'n strik word.^p

24 Toe het hy vir Moses gesê: "Klim op na Jehovah toe, jy en Aäron, Nadab en Abihu^q en 70 van die ouerman-

23:28 *Of moontlik "paniek; vrees".
23:31 *Die Eufraatrivier.

ne van Israel, en buig neer terwyl julle nog op 'n afstand is. **2** Moses moet alleen nader kom na Jehovah toe, maar die ander moenie nader kom nie, en die volk moenie saam met hom opklim nie.”^a

3 Toe het Moses gekom en vir die volk alles vertel wat Jehovah gesê het en al die regterlike bevels aan hulle oorge- dra.^b En die hele volk het met een stem geantwoord: “Ons is bereid om alles te doen wat Jehovah gesê het.”^c **4** Moses het toe alles neergeskryf wat Jehovah gesê het.^d Toe het hy die oggend vroeg opgestaan en aan die voet van die berg 'n altaar gebou en 12 pilare opgerig, een vir elkeen van die 12 stamme van Israel. **5** Daarna het hy jong Israelitiese mans gestuur om brandoffers vir Jehovah te offer, en ook bulle as vrede-offers.^e **6** Toe het Moses die helfte van die bloed geneem en dit in bakke gegooi, en hy het die ander helfte van die bloed op die altaar gesprinkel. **7** Toe het hy die boek van die verbond geneem en dit hardop vir die volk gelees.^f En hulle het gesê: “Ons is bereid om alles te doen wat Jehovah gesê het, en ons sal gehoorsaam wees.”^g **8** Toe het Moses die bloed geneem en dit op die volk gesprinkel^h en gesê: “Dit is die bloed van die verbond wat Jehovah met julle gemaak het in ooreenstemming met al hierdie woorde.”ⁱ

9 Moses en Aäron, Nadab en Abi'hu en 70 van die ouermanne van Israel het opgeklim, **10** en hulle het die God van Israel gesien.^j Onder sy voete was iets wat soos 'n vloer van saffier gelyk het, en dit was so suiwer soos die hemel self.^k **11** Hy het

24:5 *Of “gemeenskapsoffers”.

HFST. 24

a Eks 20:21
Nu 12:8

b Eks 21:1
De 4:1

c De 5:27
Jos 24:22

d Eks 34:27
De 31:9

e Le 3:1
Le 7:11

f De 31:11
Han 13:15

g Eks 19:8

h Heb 12:24

i Heb 9:18-20

j Joh 1:18

k Ese 1:26
Op 4:3

Tweede kol.

a Eks 24:1

b De 5:22

c Nu 11:28

d Eks 24:2

e Eks 32:1

f Eks 17:10

g Eks 18:25, 26

h Eks 19:9

i Eks 16:10
Le 9:23
Nu 16:42

j Eks 19:11

k Eks 19:20

l Eks 34:28
De 9:9

HFST. 25

m Eks 35:4-9
1Kr 29:9
2Kor 9:7

n Eks 38:24

o Eks 38:25

p Eks 38:3
Eks 38:29

q Eks 36:20

niks slegs aan die gerespekterde manne van Israel^a gedoen nie, en hulle het 'n visioen van die ware God gesien en het geëet en gedrink.

12 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Klim teen die berg op na my toe en bly daar. Ek sal vir jou die kliptablette gee met die wet en die gebod wat ek sal skryf om hulle te onderrig.”^b

13 Toe het Moses en sy dienaar Josua^c opgestaan, en Moses het teen die berg van die ware God opgeklim.^d **14** Maar hy het vir die ouermanne gesê: “Wag hier vir ons totdat ons na julle toe terugkeer.”^e Aäron en Hur^f is hier by julle. Enigiemand wat 'n regsak het, kan na hulle toe gaan.”^g **15** Toe het Moses teen die berg opgeklim terwyl die wolk dit bedek het.^h

16 Jehovah se heerlikheidⁱ het op die berg Si'nai^j gebly, en die wolk het dit ses dae lank bedek. Op die sewende dag het hy uit die wolk na Moses geroep. **17** Vir die Israeliete wat toegelyk het, het Jehovah se heerlikheid soos 'n verterende vuur op die bergtop gelyk. **18** Moses het toe in die wolk ingegaan en teen die berg opgeklim.^k En Moses het 40 dae en 40 nagte op die berg gebly.^l

25 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** “Sê vir die Israeliete dat hulle vir my 'n bydrae moet insamel. Julle moet die bydrae insamel van elkeen wie se hart hom beweeg om te gee.^m **3** Dit is die bydrae wat julle van hulle moet aanvaar: goud,ⁿ silwer,^o koper,^p **4** blou garing, pers wol,^q helderrooi materiaal,^r fyn linne, bokhaar, **5** rooigekleurde ramsvelle, robbevelle, akasiahout,^q **6** olie vir

25:4 *Of “wol wat persrooi gekleur is”.
[#]Die kleurstof wat hiervoor gebruik is, kom van die kermes-skildluis.

die lampe,^a balsem vir die salffolie^b en vir die geurige reukwerk^c **7** en oniksstene en ander stene wat in die efod^d en die borsstuk^e geset moet word. **8** Hulle moet vir my 'n heiligdom maak, en ek sal onder hulle woon.^f **9** Julle moet die tabernakel en al sy toerusting presies maak volgens die voorbeeld* wat ek vir julle wys.^g

10 "Hulle moet 'n ark* van akasihout maak wat twee en 'n half el^h lank en een en 'n half el breed en een en 'n half el hoog is.^h **11** Dan moet jy dit met suiwer goud oortrek.ⁱ Jy moet die binnekant en die buitekant daarvan oortrek, en jy moet 'n goue randversiering daarom maak.^j **12** Jy moet vier goue ringe daarvoor giet en dit bo die vier pote vassit, met twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant. **13** En jy moet pale van akasihout maak en dit met goud oortrek.^k **14** Jy moet die pale deur die ringe aan die kante van die Ark steek om die Ark mee te dra. **15** Die pale moet in die ringe van die Ark bly. Dit mag nie daaruit gehaal word nie.^l **16** Jy moet die Getuienis wat ek jou sal gee, in die Ark sit.^m

17 "Jy moet 'n deksel van suiwer goud maak, twee en 'n half el lank en een en 'n half el breed.ⁿ **18** Jy moet twee gerubs van goud maak. Hulle moet met 'n hamer gevorm word, en hulle moet op die twee kante van die deksel wees.^o **19** Maak die gerubs op die twee kante van die deksel, een gerub aan elke kant. **20** Die gerubs moet hulle twee vlerke na bo uitsprei, bo-oor die deksel,^p met hulle koppe na mekaar toe. Die ge-

25:9 *Of "ontwerp". **25:10** *Of "kis".
ⁿ'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 25

a Eks 27:20

b Eks 30:23-25

c Eks 30:34, 35

d Eks 28:6

e Eks 28:15

f Eks 29:45

1Kn 6:13

Heb 9:11

g 1Kr 28:12

Han 7:44

Heb 8:5

Heb 9:9

h Eks 37:1-5

i Heb 9:4

j Eks 30:1, 3

k Eks 30:1, 5

1Kr 15:15

l 1Kn 8:8

m Eks 31:18

Eks 40:20

1Kn 8:9

Heb 9:4

n Eks 37:6-9

o 1Sa 4:4

Heb 9:5

p 1Kn 8:7

1Kr 28:18

Tweede kol.

a Eks 40:20

Heb 9:4, 5

b Eks 30:6

Le 16:2

Nu 7:89

Rig 20:27

Ps 80:1

c Eks 40:22

Le 24:6

Nu 3:30, 31

Heb 9:2

d Eks 37:10-15

e Eks 37:16

Nu 4:7

1Kn 7:48, 50

f Le 24:5, 6

1Sa 21:6

1Kr 9:32

2Kr 13:11

Mt 12:4

g Eks 40:24

1Kn 7:48, 49

Heb 9:2

h Eks 37:17-24

sigte van die gerubs moet afkyk na die deksel. **21** Jy moet die deksel^a bo-op die Ark sit, en jy moet die Getuienis wat ek jou sal gee, in die Ark sit. **22** Ek sal daar aan jou verskyn en van bokant die deksel af met jou praat.^b Ek sal van tussen die twee gerubs wat op die ark van die Getuienis is, vir jou al die bevele gee wat jy aan die Israeliete moet oordra.

23 "Jy moet ook 'n tafel^c van akasihout maak, twee el lank en een el breed en een en 'n half el hoog.^d **24** Jy moet die tafel met suiwer goud oortrek, en jy moet 'n goue randversiering reg rondom maak. **25** Jy moet 'n rand van 'n handbreedte* om die tafel maak, en aan daardie rand moet jy 'n goue randversiering reg rondom maak. **26** Jy moet vier goue ringe daarvoor maak en die ringe vassit aan die vier hoeke, waar die vier pote vas is. **27** Die ringe moet naby die rand wees, en die pale waarmee die tafel gedra word, moet daardeur gesteek word. **28** Jy moet die pale van akasihout maak en dit met goud oortrek en die tafel daarmee dra.

29 "Jy moet ook vir die tafel die skottels en die bekere maak, sowel as die kanne en die bakke waarmee hulle drankoffers sal uitgooi. Jy moet hulle van suiwer goud maak.^e **30** En jy moet die offerbrode gereeld op die tafel voor my sit.^f

31 "Jy moet 'n lampstaander^g van suiwer goud maak. Dit moet met 'n hamer gevorm word. Die lampstaander se voetstuk, steel, arms, kelke, knoppe en bloeisels moet alles een stuk wees.^h **32** En ses arms moet uit die kante van die lampstaander kom: drie arms uit

25:25 *Omtrent 7,4 cm. Sien Aanh. B14.

die een kant en drie arms uit die ander kant. **33** Drie kelke in die vorm van amandelblomme moet aan die een stel arms wees, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel, en drie kelke in die vorm van amandelblomme aan die ander stel arms, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel. Dit is hoe die ses arms moet wees wat uit die steel van die lampstaander kom.

34 Aan die steel van die lampstaander moet daar vier kelke in die vorm van amandelblomme wees, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel. **35** Onder die eerste twee arms wat uit die steel kom, moet daar 'n knop wees, en onder die volgende twee arms moet daar 'n knop wees en onder die laaste twee arms moet daar 'n knop wees. Dit is hoe die ses arms moet wees wat uit die steel kom.

36 Die knoppe en die arms en die hele lampstaander moet een stuk suiwer goud wees. Dit moet met 'n hamer gevorm word.^a

37 Jy moet sewe lampe daarvoor maak, en wanneer die lampe aangesteek is, moet dit die ruimte aan die voorkant daarvan verlig.^b **38** Sy snuiters* en sy vuurbakkies moet van suiwer goud gemaak wees.^c **39** Die lampstaander en hierdie voorwerpe moet van 'n talent* suiwer goud gemaak word. **40** Sorg dat jy dit maak volgens die voorbeeld* wat op die berg vir jou gewys is.^d

26 “Jy moet die tabernakel^e maak met tien tentdoeke van fyn gedraaide linnedraad, blou garing, pers wol en helderrooi materiaal. Jy moet gerubs^f daarop borduur.^g **2** Elke

25:38 *Of “tange”. 25:39 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. 25:40 *Of “ontwerp”.

HFST. 25

a Nu 8:4

b Eks 30:8
Le 24:2, 3
Nu 8:2
2Kr 13:11

c Nu 4:9

d Eks 39:42
Nu 8:4
Han 7:44
Heb 8:5

HFST. 26

e Heb 8:5
Heb 9:9, 11

f Ge 3:24
Ps 99:1

g Eks 36:8-13

Tweede kol.

a Nu 4:25

b Eks 39:33, 34

c Eks 35:26

d Eks 36:14-18

tentdoek moet 28 el* lank en 4 el breed wees. Al die tentdoeke moet ewe groot wees.^a

3 Vyf tentdoeke moet aanmeekaargeheg word om 'n reeks te vorm, en die ander vyf tentdoeke moet aanmeekaargeheg word om 'n reeks te vorm. **4** Jy moet lissies van blou garing aan die rand van die tentdoek aan die einde van die reeks maak, en jy moet dieselfde doen aan die einde van die ander reeks tentdoeke waar die twee reekse tentdoeke aan mekaar vasgehaak sal word. **5** Jy moet 50 lissies aan die een tentdoek maak, en 50 lissies aan die rand van die ander tentdoek, sodat hulle teenoor mekaar sal wees waar hulle aan mekaar vasgehaak word. **6** Jy moet 50 goue hakies maak en die twee reekse tentdoeke met die hakies aan mekaar vashaak, sodat die tabernakel 'n eenheid vorm.^b

7 “Jy moet ook doeke van bokhaar^c maak vir die tent oor die tabernakel. Jy moet 11 tentdoeke maak.^d **8** Elke tentdoek moet 30 el lank en 4 el breed wees. Al 11 tentdoeke moet ewe groot wees. **9** Jy moet vyf van die tentdoeke aanmeekaarheg en die ander ses tentdoeke aanmeekaarheg, en jy moet die sesde tentdoek terugvou aan die voorkant van die tent. **10** En jy moet 50 lissies aan die rand van die een tentdoek maak, die buitenste in die reeks, en 50 lissies aan die rand van die tentdoek by die ander plek waar hulle aan mekaar vasgehaak word. **11** Jy moet 50 koperhakies maak en die hakies in die lissies steek en die twee reekse tentdoeke aan mekaar vashaak, sodat dit 'n eenheid vorm. **12** Laat die oorblywende deel

26:2 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

van die tentdoeke oorhang. Die helfte van die oorblywende tentdoek moet aan die agterkant van die tabernakel oorhang. **13** Die tentdoeke wat oor die sykante van die tabernakel hang, moet aan elke kant een el langer wees as die onderste tentdoek sodat dit die tabernakel kan bedek.

14 "Jy moet ook 'n bedekking van rooigekeurde ramsvelle vir die tent maak, en daar bo-oor 'n bedekking van robbevelle.^a

15 "Jy moet regopstaande paneelrame^b van akasihout vir die tabernakel maak.^c **16** Elke paneelraam moet tien el hoog en een en 'n half el breed wees. **17** Elke paneelraam het twee tappe* wat parallel is met mekaar.^d Dit is hoe jy al die paneelrame van die tabernakel moet maak. **18** Jy moet 20 paneelrame vir die suidekant van die tabernakel maak wat na die suide toe kyk.

19 "Jy moet 40 silwervoetstukke^d onder die 20 paneelrame maak: twee voetstukke onder elkeen van die paneelrame vir hulle twee tappe.^e **20** Vir die ander kant van die tabernakel, die noordekant, moet jy 20 paneelrame maak, **21** sowel as hulle 40 silwervoetstukke: twee voetstukke onder elkeen van die paneelrame. **22** Vir die agterste deel van die tabernakel, aan die westekant, moet jy ses paneelrame maak.^f **23** Jy moet twee paneelrame maak wat as die twee hoekstutte kan dien vir die agterkant van die tabernakel. **24** Hulle moet uit twee dele bestaan wat aan die bokant by die eerste ring bymekaarkom. Albei paneelrame

26:17 *Of moontlik "regop stutte".
^aOf "wat met mekaar verbind is".

HFST. 26

a Eks 36:19

b Nu 4:29, 31

c Eks 36:20-23

d Nu 3:36

e Eks 36:24-26

f Eks 36:27-30

Tweede kol.

a Eks 36:31-33

b Eks 12:35, 36
Eks 36:34c Eks 19:3
Eks 25:9
Han 7:44
Heb 8:5d Eks 36:35, 36
Lu 23:45
Heb 6:19
Heb 9:3
Heb 10:19, 20

e 1Kn 8:6

f Eks 40:22, 26

g Eks 40:21
Le 16:2
1Kn 8:6
Heb 9:2-4
Heb 9:12, 24

moet op dieselfde manier gemaak word, en hulle sal die twee hoekstutte vorm. **25** En daar moet agt paneelrame en 16 silwervoetstukke wees: twee voetstukke onder elkeen van die paneelrame.

26 "Jy moet stawe van akasihout maak: vyf vir die paneelrame aan die een kant van die tabernakel^a **27** en vyf vir die paneelrame aan die ander kant van die tabernakel en vyf vir die paneelrame aan die westekant van die tabernakel, vir die agterste deel. **28** Die middelste staaf moet oor die middel van die paneelrame strek, van die een ent tot die ander ent.

29 "Jy moet die paneelrame met goud oortrek,^b en jy moet vir die paneelrame ringe van goud maak waardeur die stawe gesteek moet word, en jy moet die stawe met goud oortrek.

30 Jy moet die tabernakel oprig volgens die plan wat op die berg vir jou gewys is.^c

31 "Jy moet 'n gordyn^{*d} maak van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad. Gerubs moet daarop geborduur word.

32 Jy moet dit ophang aan vier pilare van akasihout wat met goud oorgetrek is. Hulle hakies moet van goud wees. Die pilare moet op vier silwervoetstukke geplaas word. **33** Jy moet die gordyn* onder die hakies ophang en die ark van die Getuënis inbring^e en dit agter die gordyn sit. Die gordyn sal vir julle 'n skeiding maak tussen die Heilige^f en die Allerheiligste.^g **34** Jy moet die deksel op die ark van die Getuënis in die Allerheiligste sit.

35 "Jy moet die tafel buite die gordyn* sit, en die lamp-

26:31, 33, 35 *Of "voorhangsel".

staander^a aan die suidekant van die tabernakel, oorkant die tafel, wat aan die noordekant moet staan. **36** Jy moet vir die ingang van die tent 'n skerm* maak van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad wat saamge-weef is.^b **37** Jy moet vyf pilare van akasihout vir die skerm* maak en hulle met goud oortrek. Hulle hakies moet van goud wees, en jy moet vyf kopervoetstukke vir hulle giet.

27 “Jy moet die altaar van akasihout maak.^c Dit moet vyf el* lank en vyf el breed wees. Die altaar moet vierkantig en drie el hoog wees.^d **2** Jy moet horings^e op die vier hoeke maak. Die horings moet deel wees van die altaar, en jy moet die altaar met koper oortrek.^f **3** Jy moet emmers maak om die as* te verwyder, sowel as grawe, bakke, vurke en vuurbakke, en jy moet al die voorwerpe van koper maak.^g **4** Jy moet 'n rooster vir die altaar maak, 'n netwerk van koper, met vier koperringe aan die vier hoeke van die rooster. **5** Dit moet onder die rand van die altaar wees, binne-in die altaar, omtrent halfpad ondertoe. **6** Jy moet pale van akasihout vir die altaar maak en dit met koper oortrek. **7** Die pale moet in die ringe gestee word, sodat die pale aan die twee kante van die altaar sal wees wanneer dit gedra word.^h **8** Die altaar moet soos 'n kis van planke wees wat hol is aan die binnekant. Dit moet gemaak word net soos Hy vir jou op die berg gewys het.ⁱ

26:36, 37; 27:16 *Of “gordyn”. **27:1** *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. **27:3** *Of “vetterige as”, d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdrenk is.

HFST. 26

a Le 24:2, 3
1Kn 7:48, 49

b Eks 36:37, 38

HFST. 27

c Eks 40:29
2Kr 4:1
Heb 13:10

d Eks 38:1-7

e Le 4:25

f 1Kn 8:64

g 1Kn 7:45

h Nu 4:14, 15

i Eks 25:40
1Kr 28:12
Han 7:44
Heb 8:5

Tweede kol.

a Eks 40:8
1Kn 6:36

b Eks 38:9-15

c Eks 39:33, 40

d Eks 35:25

e Eks 38:18, 19

f Eks 38:17

g Eks 27:9

9 “Jy moet die voorhof^a van die tabernakel maak. Aan die suidekant van die voorhof, wat na die suide toe kyk, moet daar hangende gordyne van fyn gedraaide linnedraad wees, 100 el lank vir die een kant.^b **10** Dit moet 20 pilare met 20 koper-voetstukke hê. Die hakies van die pilare en hulle verbindingstukke* moet van silwer wees. **11** Die hangende gordyne aan die noordekant moet ook oor 'n lengte van 100 el strek, en daar moet 20 pilare en 20 kopervoetstukke wees, met hakies en verbindingstukke* van silwer vir die pilare. **12** Daar moet hangende gordyne aan die westekant wees wat oor 'n lengte van 50 el strek, regoor die breedte van die voorhof, met tien pilare en tien voetstukke. **13** Die breedte van die voorhof aan die oostekant, aan die kant waar die son opkom, moet 50 el wees. **14** Aan die een kant moet daar hangende gordyne wees wat oor 'n lengte van 15 el strek, met drie pilare en drie voetstukke.^c **15** En aan die ander kant moet daar hangende gordyne wees wat oor 'n lengte van 15 el strek, met drie pilare en drie voetstukke.

16 “Die ingang van die voorhof moet 'n skerm* van 20 el hê wat gemaak is van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad wat saamge-weef is,^d met vier pilare en vier voetstukke.^e **17** Al die pilare om die voorhof moet hegstukke en hakies van silwer hê, maar hulle voetstukke moet van koper wees.^f **18** Die voorhof moet 100 el lank^g en 50 el breed wees, en die gordyne

27:10, 11 *Of “ringe; bande” wat gebruik is om voorwerpe aan mekaar te verbind.

van fyn gedraaide linnedraad om die voorhof moet 5 el hoog wees, en dit moet koper-voetstukke hê. **19** Al die voorwerpe en die items wat in die diens in verband met die tabernakel gebruik sal word, sowel as die tentpenne en al die penne van die voorhof, moet van koper wees.^a

20 "Jy moet die Israeliete beveel om vir jou suiver, uitgestampte olyfolie vir die lampstaander te bring, sodat die lampe kan bly brand.^b

21 Aäron en sy seuns moet reël dat die lampe in die tent van samekoms, wat buite die gordyn* naby die Getuienis^c is, van die aand tot die oggend toe voor Jehovah bly brand.^d Dit is 'n permanente wetsbepaling vir die Israeliete, wat hulle in al hulle geslagte moet nakom.^e

28 "Jy moet jou broer Aäron, sowel as sy seuns, uit die Israeliete laat roep, sodat hy my as priester kan dien^f - Aäron,^g sowel as Nadab en Abi'hu,^h Elea'sar en I'tamar,ⁱ die seuns van Aäron.^j **2** Jy moet heilige klere vir jou broer Aäron maak, 'n waardige en pragtige uitrusting.^k **3** Jy moet met almal praat wat vaardighede het,^{*} dié wat ek met die gees van wysheid^l gevul het, en hulle moet Aäron se klere maak sodat hy geheilig kan word en my as priester kan dien.

4 "Dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borsstuk,^m 'n efod,ⁿ 'n moulose oorkleed,^o 'n kleed met 'n blokkiespatroon, 'n tulband^p en 'n lyfband.^q Hulle moet hierdie heilige klere vir jou broer Aäron en sy seuns maak, sodat hy my as priester kan dien. **5** Die vaardige wer-

27:21 *Of "voorhangsel". **28:3** *Lett. "wys van hart is".

HFST. 27

a Eks 38:20
Nu 3:36, 37

b Eks 39:33, 37
Le 24:1-3

c Eks 26:33
Eks 40:3
Heb 9:2, 3

d Eks 30:8

e Nu 18:23

HFST. 28

f Le 8:2
Heb 5:1

g Heb 5:4

h Le 10:1
Nu 26:61

i Eks 38:21
Le 10:16
1Kr 24:2

j Eks 6:23
1Kr 6:3

k Eks 29:5
Le 8:7

l Eks 31:6
Eks 36:1

m Eks 39:8, 15
Le 8:8

n Eks 39:2

o Eks 39:22

p Eks 39:27, 28
Eks 39:30, 31
Le 8:9

q Eks 39:27, 29
Le 8:7

Tweede kol.

a Eks 39:2-5

b Eks 29:5

c Eks 35:5, 9
Eks 35:27

d Eks 1:1-4

e Eks 39:6, 14

f Eks 39:7

g Eks 39:15

h Eks 39:18

i Eks 28:30
Le 8:8
Nu 27:21

kers moet die goud, die blou garing, die pers wol, die helderrooi materiaal en die fyn linne gebruik.

6 "Hulle moet die efod maak van goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad, en daar moet op die efod geborduurd word.^a **7** Dit moet twee skouerstukke hê wat by die twee bokante van die efod verbind is. **8** Die geweefde lyfband,^b wat aan die efod vasgeheg is om dit in plek te hou, moet van dieselfde materiale gemaak word: goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad.

9 "Jy moet twee onikssteene^c neem en die name van die seuns van Israel daarop graveer:^d **10** ses name op die een steen en die ses oorblywende name op die ander steen, in die volgorde waarin hulle gebore is. **11** 'n Steensnyer moet die name van die seuns van Israel op die twee stene graveer, soos hy 'n seël sou graveer.^e Dan moet jy dit in goue monterings laat set. **12** Jy moet die twee stene op die skouerstukke van die efod sit as 'n herinnering aan die seuns van Israel.^f Aäron moet hulle name op sy twee skouerstukke as 'n herinnering voor Jehovah dra. **13** Jy moet goue monterings maak, **14** sowel as twee kettinkies van suiver goud wat gedraai is soos toutjies,^g en jy moet die kettinkies aan die monterings vasheg.^h

15 "Laat 'n borduurder die borsstuk van oordeel* maak.ⁱ Soos die efod, moet dit van goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad gemaak

28:15 *Of "regspraak".

word.^a **16** Dit moet vierkantig wees wanneer dit dubbel gevou is, 'n span* lank en 'n span breed. **17** Jy moet vier rye stene daarin set. In die eerste ry: robyn, topaas en smarag. **18** In die tweede ry: turkoois, saffier en jaspis. **19** In die derde ry: *les'em*-steen,* agaat en ametis. **20** In die vierde ry: chrisoliet, oniks en jade. Hulle moet in goue monterings geset word. **21** Die stene moet ooreenstem met die name van die 12 seuns van Israel. Elkeen moet soos 'n seël gegraveer word. Elke naam moet een van die 12 stamme verteenwoordig.

22 "Jy moet gedraaide ketkies vir die borsstuk maak, soos toutjies van suiwer goud.^b **23** Jy moet twee goue ringe vir die borsstuk maak en die twee ringe aan die twee hoeke van die borsstuk vassit. **24** Jy moet die twee goue toutjies deur die twee ringe aan die hoeke van die borsstuk steek. **25** Jy moet die twee punte van die twee toutjies deur die twee monterings steek, en jy moet dit aan die skouerstukke van die efod vasheg, aan die voorkant. **26** Jy moet twee goue ringe maak en hulle aan die twee hoeke van die borsstuk vassit, aan die agterkant van die borsstuk, wat aan die efod raak.^c **27** Jy moet nog twee goue ringe maak vir die plekke waar die lyfband aan die efod vas is, dit wil sê aan die voorkant van die efod,^d onder die twee skouerstukke, net bo die gewefde lyfband. **28** Die borsstuk moet in plek

28:16 *D.w.s. die afstand van die punt van die duim tot by die punt van die pinkie, omtrent 22,2 cm. Sien Aanb. B14. **28:19** *'n Ongeïdentifiseerde edelsteen wat moontlik na amber, hiasint, opaal of toermalyn verwys.

HFST. 28

a Eks 39:8-14

b Eks 39:15-18

c Eks 39:19-21

d Eks 28:8
Le 8:7

Tweede kol.

a Le 8:8
Nu 27:21
De 33:8
1Sa 28:6
Esr 2:62, 63b Eks 39:22-26
Le 8:7c Le 16:2
Nu 18:7

gehou word met 'n blou toutjie, wat die ringe van die borsstuk verbind met die ringe van die efod. Dit sal die borsstuk in plek hou op die efod, bo die gewefde lyfband.

29 "Aäron moet die name van die seuns van Israel op die borsstuk van oordeel* op sy hart dra as 'n permanente herinnering voor Jehovah wanneer hy in die Heilige ingaan. **30** Jy moet die Urim en die Tummim^{aa} in die borsstuk van oordeel* sit, en hulle moet op Aäron se hart wees wanneer hy voor Jehovah ingaan, en Aäron moet hierdie voorwerpe, waarmee oordele vir die Israeliete vasgestel word, altyd voor Jehovah op sy hart dra.

31 "Die moulose oorkleed van die efod moet geheel en al van blou garing gemaak word.^b **32** Daar moet 'n opening bo-aan* in die middel wees. Die opening moet 'n rand rondom hê wat deur 'n wewer gewee is. Dit moet wees soos die opening van 'n pantser,[#] sodat dit nie sal skeur nie. **33** Jy moet reg rondom die soom granaatjies maak van blou garing, pers wol en helderrooi materiaal, met goue klokkies tussen die granaatjies. **34** Wissel die goue klokkies en die granaatjies af, 'n goue klokkie en dan 'n granaatjie, reg rondom die soom van die moulose oorkleed. **35** Aäron moet dit dra sodat hy kan dien, en die geluid daarvan moet gehoor word wanneer hy voor Jehovah in die heiligdom ingaan en wanneer hy uitkom, sodat hy nie sterf nie.^c

36 "Jy moet 'n blink plaat van suiwer goud maak, en net

28:29, 30 *Of "regspraak". **28:30** ^aSien Wordelys. **28:32** *Of "vir die kop". [#]'n Beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is.

soos daar op 'n seël gegra-
veer word, moet jy daarop gra-
veer: 'Heiligheid behoort aan
Jehovah.'^a **37** Jy moet dit met
'n blou touthie aan die tulband^b
vasmaak, en dit moet aan die
voorkant van die tulband bly.
38 Dit moet op Aäron se voor-
kop wees, en Aäron sal ver-
antwoordelik gehou word wan-
neer iemand sondig in verband
met die heilige dinge,^c wat deur
die Israeliete geheilig word wan-
neer hulle dit as heilige gewes
offer. Dit moet altyd op sy voor-
kop bly, sodat hulle Jehovah se
goedkeuring kan verkry.

39 "Die kleeed moet 'n blok-
kiespatroon hê en moet van fyn
linne geweef word, en jy moet
ook 'n tulband van fyn linne en
'n geweefde lyfband^d maak.

40 "Jy moet ook 'n kleeed,
'n lyfband en 'n hoofbedekking
vir elkeen van Aäron se seuns^e
maak, waardige en pragtige uit-
rustings.^f **41** Jy moet dit vir
jou broer Aäron sowel as sy
seuns aantrek, en jy moet hulle
salf^g en hulle inhuldig^{*h} en
hulle heilig, en hulle moet my
as priesters dien. **42** Jy moet
ook vir hulle kortbroeke* van
linne maak om hulle kaal vlees
te bedek.ⁱ Dit moet van die heu-
pe tot by die bobene strek.
43 Aäron en sy seuns moet dit
dra wanneer hulle in die tent
van samekoms ingaan en wan-
neer hulle by die altaar kom om
in die heiligdom te dien, sodat
hulle nie skuldig word en sterf
nie. Dit is 'n permanente wets-
bepaling vir hom en sy nage-
slag.*

29 "Dit is wat jy moet doen
om hulle te heilig, sodat
hulle my as priesters kan dien:
Neem 'n jong bul en twee skaap-

28:41 *Lett. "en hulle hand vul".
28:42 *Of "onderklere". **28:43** *Lett.
"saad".

HFST. 28

a Eks 39:30, 31

Le 8:9

1Kr 16:29

Ps 93:5

1Pe 1:16

b Eks 29:6

c Le 22:9

Nu 18:1

d Eks 28:4

Eks 39:27-29

e Le 8:13

f Eks 28:2

g Eks 29:4, 7

Eks 30:30

Han 10:38

2Kor 1:21

h Eks 29:8, 9

Le 8:33

Nu 3:2, 3

i Le 6:10

Tweede kol.

HFST. 29

a Le 8:2

De 17:1

b Le 6:20

c Le 8:26

d Eks 26:36

Eks 40:28

Le 8:2, 3

e Le 8:6

Heb 10:22

f Eks 28:4

Le 8:7

Le 16:4

g Eks 28:8

h Eks 28:36

Eks 39:30

Le 8:9

i Eks 30:23-25

j Le 8:12

Ps 133:2

Jes 61:1

Han 10:38

k Eks 28:40

Le 8:13

l Eks 28:1-3

Eks 28:40, 43

Eks 40:15

m Eks 28:41

n Le 8:14-17

o Le 4:3

p Eks 27:2

q Le 4:7

ramme sonder gebrek,^a **2** on-
gesuurde brode, ongesuurde
ringvormige brode wat met olie
gemaak is en ongesuurde plat-
brode wat met olie gesmeer is.^b
Jy moet dit van fyn koring-
meel maak **3** en in 'n mandjie
sit. Bied dit in die mandjie^c aan,
saam met die bul en die twee
ramme.

4 "Jy moet Aäron en sy
seuns na die ingang van die tent
van samekoms^d laat kom en hul-
le met water was.^e **5** Dan moet
jy die klere^f neem en vir Aäron
die kleeed, die moullose oorkleeed
van die efod, die efod en die
borsstuk aantrek, en jy moet die
geweefde lyfband van die efod
styf om sy middel vasbind.^g

6 Jy moet die tulband op sy kop
sit en die heilige toewydingste-
ken* aan die tulband vasmaak.^h
7 Neem dan die salfolieⁱ en gooi
dit op sy kop uit om hom te salf.^j

8 "Dan moet jy sy seuns laat
nader kom en vir hulle die kle-
re^k aantrek **9** en die lyfbande
om hulle sit, Aäron sowel as sy
seuns, en jy moet hulle hoof-
bedekking om hulle sit. En die
priesterskap moet hulle s'n
word as 'n permanente wetsbe-
paling.^l Dit is hoe jy Aäron en
sy seuns moet inhuldig om as
priesters te dien.*^m

10 "Jy moet dan die bul voor
die tent van samekoms bring,
en Aäron en sy seuns moet hul-
le hande op die bul se kop sit.ⁿ
11 Slag die bul voor Jehovah,
by die ingang van die tent van
samekoms.^o **12** Neem van die
bul se bloed met jou vinger en
smeer dit aan die horings van
die altaar^p en gooi die res van
die bloed aan die voet van die
altaar uit.^q **13** Neem dan al die

29:6 *Of "die heilige hoofband". **29:9**
*Lett. "die hand van Aäron en die hand
van sy seuns moet vul".

vet^a wat die ingewande bedek, die vet* aan die lewer en die twee niere met die vet daaraan en verbrand dit sodat dit op die altaar rook.^b **14** Maar jy moet die bul se vleis en sy vel en sy mis buite die kamp met vuur verbrand. Dit is 'n sonde-offer.

15 "Dan moet jy die een skaapram neem, en Aäron en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop sit.^c **16** Slag die ram en neem die bloed en besprinkel al die kante van die altaar daarmee.^d **17** Sny die ram in stukke op en was sy ingewande^e en sy pote, en jy moet die stukke sowel as die kop regsit. **18** Jy moet die hele ram verbrand en dit op die altaar laat rook. Dit is 'n brandoffer met 'n aangename* geur vir Jehovah.^f Dit is 'n vuuroffer aan Jehovah.

19 "Daarna moet jy die ander skaapram neem, en Aäron en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop sit.^g **20** Slag die ram en neem van sy bloed en smeer dit aan die onderste deel van Aäron se regteroor en aan die onderste deel van sy seuns se regteroor en aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet, en besprinkel al die kante van die altaar met die bloed. **21** Neem dan van die bloed wat op die altaar is en van die salffolie^h en spat dit op Aäron en sy klere en op sy seuns en hulle klere, sodat hy en sy klere en sy seuns en hulle klere heilig kan wees.ⁱ

22 "Neem dan die ram se vet, die vetstert, die vet wat die ingewande bedek, die vet* aan die lewer, die twee niere met die vet wat daaraan is^j en die regterboud, want dit is 'n ram vir

29:13, 22 *Of "aanhangsel". 29:18, 25 *Of "kalmerende". Lett. "rustige".

HFST. 29

a Le 3:17

b Le 4:8-10

c Le 1:4
Le 8:18-21

d Heb 9:22

e Le 1:13

f Ge 8:21

g Le 8:22-24

h Eks 30:23-25

i Le 8:30

j Le 3:9, 10

Tweede kol.

a Le 8:22
Le 8:25-28

b Le 8:29
Ps 99:6

c Eks 29:22

d Le 7:34
Le 10:14

e Le 7:11, 14

f Eks 28:4

g Nu 20:26

h Le 8:35

i Le 8:31

die inhuldiging.^a **23** Neem ook 'n ronde brood en 'n ringvormige brood wat met olie gemaak is en 'n platbrood uit die mandjie met ongesuurde brood wat voor Jehovah is. **24** Jy moet dit alles in die hande van Aäron en in die hande van sy seuns sit, en jy moet dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg. **25** Dan moet jy dit uit hulle hande neem en dit op die altaar bo-op die brandoffer verbrand as 'n aangename* geur voor Jehovah. Dit is 'n vuuroffer aan Jehovah.

26 "Neem dan die bors van die ram vir die inhuldiging,^b wat vir Aäron geoffer word, en beweeg dit heen en weer as 'n beweegoffer voor Jehovah, en dit sal jou deel word. **27** Van die ram vir die inhuldiging,^c wat vir Aäron en sy seuns geoffer is, moet jy die bors van die beweegoffer heilig, wat heen en weer beweeg is, sowel as die boud van die heilige deel, wat bygedra is. **28** Dit moet Aäron en sy seuns s'n word. Dit is 'n permanente wetsvoorskrif wat die Israeliete moet nakom, want dit is 'n heilige deel, en dit sal 'n heilige deel word wat deur die Israeliete gegee moet word.^d Dit is hulle heilige deel vir Jehovah uit hulle vrede-offers.^e

29 "Die heilige klere^f wat aan Aäron behoort, sal deur sy seuns^g ná hom gebruik word wanneer hulle gesalf word en as priesters ingehuldig word.

30 Die priester uit sy nageslag wat hom opvolg en wat in die tent van samekoms ingaan om in die heiligdom te dien, moet dit sewe dae dra.^h

31 "Jy moet die ram vir die inhuldiging neem en die vleis daarvan in 'n heilige plek kook.ⁱ

29:28 *Of "gemeenskapsoffers".

32 Aäron en sy seuns moet die vleis van die ram en die brood wat in die mandjie is, by die ingang van die tent van samekoms eet.^a **33** Hulle moet die dinge eet waarmee versoening gedoen is om hulle as priesters in te huldig* en hulle te heilig. Maar niemand anders[#] mag dit eet nie, want dit is iets heiligs.^b

34 As daar van die vleis van die inhuldigingsoffer en van die brood tot die oggend toe oorby, moet jy dit met vuur verbrand.^c Dit mag nie geëet word nie, want dit is iets heiligs.

35 "Dit is wat jy met Aäron en sy seuns moet doen, volgens alles wat ek jou beveel het. Jy moet hulle sewe dae lank as priesters inhuldig.*^d

36 Jy moet elke dag 'n bul as 'n sonde-offer bring om versoening te doen, en jy moet die altaar van sonde reinig deur versoening daarvoor te doen, en jy moet dit salf om dit te heilig.^e

37 Jy moet sewe dae lank vir die altaar versoening doen, en jy moet dit heilig sodat dit 'n besonder heilige altaar sal word.^f Enigiemand wat aan die altaar raak, moet heilig wees.

38 "Dit is wat jy elke dag op die altaar moet offer:^g twee jong skaapramme, elk 'n jaar oud. **39** Offer die een jong ram in die oggend en die ander ram wanneer dit skemer word.^h **40** Saam met die eerste jong ram moet jy 'n tiende van 'n efa* fynmeel aanbied wat met 'n kwart hin[#] uitgestampde olie ge-

29:33 *Lett. "om hulle hand te vul".
[#]Lett. "geen vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie deel is van Aäron se familie nie. **29:35** *Lett. "Jy moet hulle hand sewe dae lank vul". **29:39, 41** *Lett. "tussen die twee aande".
29:40 *'n Efa was gelyk aan 22 l. Sien Aanh. B14. [#]'n Hin was gelyk aan 3,67 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 29

a 1Kor 9:13

b Le 22:10
Nu 3:10

c Le 8:32

d Le 8:4, 33

e Eks 30:26, 28
Le 8:11
Nu 7:1

f Eks 40:10

g 2Kr 2:4
Heb 7:27
Heb 10:11

h Nu 28:4-6

Tweede kol.

a Eks 25:22
Le 1:1
Nu 17:4b Eks 40:34
Nu 12:5
1Kn 8:11

c Le 22:9

d Eks 25:8
Le 26:12
Sag 2:11
2Kor 6:16

e Eks 20:2

HFST. 30

f Eks 40:5

g Eks 37:25-28

h Eks 27:1, 2
Le 4:7

meng is, sowel as 'n drankoffer van 'n kwart hin wyn. **41** Jy moet die tweede jong ram offer wanneer dit skemer word,* saam met dieselfde graanoffer en drankoffer as in die oggend. Jy moet dit as 'n vuuroffer met 'n aangename[#] geur vir Jehovah aanbied. **42** Dit moet in al julle geslagte 'n gereelde brandoffer wees by die ingang van die tent van samekoms voor Jehovah, waar ek aan julle sal verskyn om met julle te praat.^a

43 "Ek sal daar aan die Israëliete verskyn, en daardie plek sal deur my heerlikheid^b geheilig word. **44** Ek sal die tent van samekoms en die altaar heilig, en ek sal Aäron en sy seuns heilig,^c sodat hulle my as priesters kan dien. **45** Ek sal onder die Israëliete woon, en ek sal hulle God wees.^d **46** En hulle sal beslis weet dat ek Jehovah hulle God is, wat hulle uit Egipte uitgelei het sodat ek by hulle kan woon.^e Ek is Jehovah hulle God.

30 "Jy moet 'n altaar maak waarop reukwerk gebrand kan word.^f Jy moet dit van akasihout maak.^g **2** Dit moet vierkantig wees, een el* lank, een el breed en twee el hoog. Die horings moet deel van die altaar wees.^h **3** Jy moet die altaar met suiwer goud oortrek: die boonste oppervlak, al die kante en die horings. Jy moet ook 'n goue randversiering daarom maak. **4** Jy moet onder die randversiering aan twee teenoorgestelde kante ook twee goue ringe daarvoor maak, en die pale waarmee dit gedra word, moet daardeur gesteek word. **5** Jy moet die pale van akasihout maak en dit met

29:41 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". **30:2** *Omtrent 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

goud oortrek. **6** Jy moet dit voor die gordyn* sit wat naby die ark van die Getuienis^a is, voor die deksel wat oor die Getuienis is, waar ek aan jou sal verskyn.^b

7 "Aäron^c moet geurige reukwerk^d daarop^e brand en dit op die altaar laat rook wanneer hy elke oggend na die lampe^f omsien. **8** En wanneer Aäron die lampe teen skemer* aansteek, moet hy die reukwerk brand. Dit is 'n gereelde reukwerk-offer voor Jehovah in al julle geslagte. **9** Julle mag nie onwettige reukwerk^g of 'n brandoffer of 'n graanoffer daarop offer nie, en julle mag nie 'n drankoffer daarop uitgooi nie. **10** Aäron moet een keer per jaar^h op die horings daarvan versoening doen. Hy moet een keer per jaar van die bloed van die sonde-offer gebruik om vir die altaar versoening te doen.ⁱ Dit moet in al julle geslagte gedoen word. Dit is besonder heilig vir Jehovah."

11 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **12** "Wanneer jy ook al 'n sensus opneem en die seuns van Israel tel,^j moet elkeen tydens die sensus 'n losprys vir sy lewe aan Jehovah gee. Hulle moet dit doen sodat geen plaag hulle tref wanneer hulle geregistreer word nie. **13** Dit is wat almal wat geregistreer is, moet gee: 'n halvesikkel* volgens die standaardsikkel van die heiligdom.^k Twintig gera^l is gelyk aan 'n sikkel. 'n Halfsikkel is die bydrae vir Jehovah.^m **14** Elkeen van 20 jaar en ouer wat geregistreer is, moet Jehovah se bydrae gee.ⁿ **15** Die ryke moe-

30:6 *Of "voorhangsel". **30:8** *Lett. "tussen die twee aande". **30:13, 15** *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanb. B14. **30:13, 24** *Of "volgens die heilige sikkel". **30:13** ^a'n Gera was gelyk aan 0,57 g. Sien Aanb. B14.

HFST. 30

a Eks 26:33
Heb 9:3

b Eks 25:22

c 1Kr 23:13

d Eks 30:34, 35

e Nu 16:39, 40
1Sa 2:27, 28
Lu 1:9

f Eks 27:20

g Le 10:1
2Kr 26:18
Ese 8:11, 12

h Le 23:27
Heb 9:7

i Le 16:5, 6
Le 16:18, 19

j Eks 38:25
Nu 1:2
2Sa 24:10, 15

k Le 27:25

l 2Kr 24:9
Mt 17:24

m Eks 38:26
Nu 1:3
Nu 26:1, 2

Tweede kol.

a Eks 38:8
Le 8:11
1Kn 7:38

b Eks 40:7

c Eks 40:30, 31
Heb 10:22

d 2Kr 4:6

e Nu 3:47

f Eks 37:29

nie meer as 'n halvesikkel* gee en die arme moenie minder as 'n halvesikkel gee as 'n bydrae aan Jehovah om vir sy leweⁿ versoening te doen nie. **16** Jy moet die silwergeld van die versoening by die Israeliete neem en dit vir die diens in verband met die tent van samekoms gee, sodat dit vir die Israeliete as 'n herinnering voor Jehovah kan dien, om vir hulle lewens* versoening te doen."

17 Jehovah het verder vir Moses gesê: **18** "Maak 'n koperkom met 'n voetstuk.^a Sit dit dan tussen die tent van samekoms en die altaar en gooi water daarin.^b **19** Aäron en sy seuns moet hulle hande en hulle voete daar was.^c **20** Wanneer hulle in die tent van samekoms ingaan of by die altaar kom om te dien en om vuuroffers aan Jehovah te offer en offerrook te laat opgaan, moet hulle hulle met water was sodat hulle nie sterf nie. **21** Hulle moet hulle hande en hulle voete was sodat hulle nie sterf nie. Dit is 'n permanente wetsvoorskrif vir hulle, vir hom en sy nageslag, in al hulle geslagte."^d

22 Jehovah het verder vir Moses gesê: **23** "Neem ook die beste bestanddele: 500 eenhede gestolde mirre en die helfte soveel soet kaneel, met ander woorde 250 eenhede, sowel as 250 eenhede soet kalmoes **24** en 500 eenhede kassia, gemeet volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^e asook 'n hin* olyfolie. **25** Dan moet jy 'n heilige salfolie hiervan maak. Dit moet met vaardigheid gemeng word.^f Dit moet 'n heilige salfolie wees.

30:15 *Of "siel". **30:16** *Of "siele". **30:24** *'n Hin was gelyk aan 3,67 l. Sien Aanb. B14. **30:25** *Of "Dit moet soos die werk van 'n salfmaker wees".

26 "Jy moet die tent van samekoms^a en die ark van die Getuienis daarmee salf, 27 sowel as die tafel en al sy voorwerpe, die lampstaander en sy voorwerpe, die reukwerkaltaar, 28 die brandofferaltaar en al sy voorwerpe en die kom en sy voetstuk. 29 Jy moet hulle heilig sodat hulle besonder heilig sal word.^b Enigiemand wat aan hulle raak, moet heilig wees.^c 30 En jy moet Aäron^d en sy seuns^e salf en hulle heilig sodat hulle my as priesters kan dien.^f

31 "Jy moet vir die Israeliete sê: 'Dit moet in al julle geslagte 'n heilige salfolie vir my bly.^g 32 Dit mag nie op iemand se liggaam gebruik word nie, en julle mag nie 'n soortgelyke mengsel maak nie. Dit is iets heiligs. Dit moet vir julle iets heiligs bly. 33 Enigiemand wat 'n soortgelyke salf maak en wat van die salf op 'n gewone mens* sit, moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word.'^h

34 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Neem gelyke hoeveelhede van die volgende bestanddele:ⁱ staktedruppels,^{*} onika,[#] geurige galbanum en suiver wierook. 35 Maak reukwerk/ daarvan. Die bestanddele moet met vaardigheid gemeng word* en moet gesout wees.^k Dit moet suiver en heilig wees. 36 Jy moet 'n deel daarvan tot fyn poeier stamp en 'n deel daarvan voor die Getuienis in die tent van samekoms sit, waar ek

30:33 *Lett. "n vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie deel is van Aäron se familie nie. 30:34 *Die gom van 'n ongeïdentifiseerde soort boom. # 'n Ongeïdentifiseerde bestanddeel wat moontlik van 'n geurige plant of 'n soort skulpdier verkry is. 30:35 *Of "moet soos die werk van 'n salfmaker wees".

HFST. 30

a Eks 40:9
Nu 7:1

b Le 8:10

c Eks 29:37

d Le 8:12

e Nu 3:2, 3

f Eks 40:15

g Eks 37:29
1Kn 1:39
Ps 89:20

h Eks 30:37, 38

i Eks 25:3, 6

j Eks 37:29
Ps 141:2
Op 5:8

k Le 2:13

Tweede kol.

a Eks 30:31, 32

HFST. 31

b Eks 37:1

c Eks 35:30-34
1Kr 2:20

d Eks 28:9-11

e 2Kr 2:13, 14

f Eks 38:23

g Eks 36:1

h Eks 36:8

i Eks 37:1

j Eks 37:6

k Eks 37:10

l Eks 37:17, 24

m Eks 37:25

n Eks 38:1
Eks 40:6o Eks 30:18
Eks 38:8p Eks 28:2, 15
Eks 39:1, 27
Le 8:7q Eks 30:25, 35
Eks 37:29

aan jou sal verskyn. Dit moet vir julle besonder heilig wees. 37 Julle mag nie hierdie resep volg om reukwerk vir julle eie gebruik te maak nie.^a Julle moet dit as iets heiligs vir Jehovah beskou. 38 Enigiemand wat iets soortgelyks maak om die reuk daarvan te geniet, moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word."

31 Jehovah het verder vir Moses gesê: 2 "Kyk, ek het Besa'leël,^b die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, gekies.^{*c} 3 Ek sal hom met die gees van God vul en hom wysheid, begrip en kennis van elke soort ambag gee 4 om kunstige ontwerpe te maak, om met goud, silwer en koper te werk, 5 om stene te sny en te set^d en om allerhande soorte houtvoorwerpe te maak.^e 6 En ek het Oho'liab,^f die seun van Ahi'samag, van die stam van Dan, aangestel om hom te help, en ek gee wysheid aan almal wat vaardighede het,^{*} sodat hulle alles kan maak wat ek jou beveel het:^g 7 die tent van samekoms,^h die ark van die Getuienisⁱ en die deksele^j daarop, al die toerusting van die tent, 8 die tafel^k en sy voorwerpe, die lampstaander van suiver goud en al sy voorwerpe,^l die reukwerkaltaar,^m 9 die brandofferaltaarⁿ en al sy voorwerpe, die kom en sy voetstuk,^o 10 die fyngeweefde klere, die heilige klere vir die priester Aäron, die klere van sy seuns vir hulle priesterlike diens,^p 11 die salfolie en die geurige reukwerk vir die heiligdom.^q Hulle moet alles doen wat ek jou beveel het."

31:2 *Lett. "by naam geroep". 31:6 *Lett. "ek sit wysheid in die hart van almal wat wys van hart is".

12 Jehovah het verder vir Moses gesê: 13 "Sê vir die Israeliete: 'Julle moet seker maak dat julle my sabbatte hou,^a want dit is 'n teken tussen my en julle in al julle geslagte sodat julle kan weet dat ek, Jehovah, julle heilig. 14 Julle moet die Sabbat hou, want dit is vir julle iets heiligs.^b Enigiemand wat dit ontheilig, moet doodgemaak word. As enigiemand enige werk op daardie dag doen, moet hy doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word.^c 15 Ses dae lank mag werk gedoen word, maar die sewende dag is 'n sabbat, 'n spesiale rusdag.^d Dit is iets heiligs vir Jehovah. Enigiemand wat op die Sabbatdag werk doen, moet doodgemaak word. 16 Die Israeliete moet die Sabbat hou. Hulle moet die Sabbat in al hulle geslagte hou. Dit is 'n permanente verbond. 17 Dit is 'n permanente teken tussen my en die Israeliete,^e want in ses dae het Jehovah die hemel en die aarde gemaak, en op die sewende dag het hy opgehou werk en gerus."^f

18 En net nadat hy met Moses op die berg Si'nai gepraat het, het hy vir hom twee tablette van die Getuienis^g gegee, kliptablette waarop die vinger van God geskryf het.^h

32 Intussen het die volk gesien dat Moses lank neem om van die bergⁱ af te kom. Daarom het die volk om Aäron bymekaargekom en vir hom gesê: "Maak vir ons 'n god wat voor ons uit sal gaan,^j want ons weet nie wat geword het van hierdie Moses, die man wat ons uit Egipte uitgelei het nie." 2 Aäron het vir hulle gesê: "Haal die goue oorringe^k van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af, en bring dit na my toe." 3 Toe het die hele

HFST. 31

a Eks 20:8
Le 19:30
Kol 2:16, 17

b De 5:12

c Eks 35:2
Nu 15:32, 35

d Eks 16:23
Eks 20:10

e Eks 31:13

f Ge 2:2

g Eks 24:12
Eks 32:15
De 4:13
De 9:15

h Mt 12:28
Lu 11:20
2Kor 3:3

HFST. 32

i Eks 24:18
De 9:9

j Han 7:40

k Eks 12:35, 36

Tweede kol.

a De 9:16
Jes 46:6
Han 7:41

b Eks 20:4
Ne 9:18
Ps 106:19, 20

c 1Kor 10:7

d De 4:15-18

e Eks 18:20
Eks 20:3

f Eks 34:9
De 9:6
Han 7:51

g Nu 14:12
De 9:14

h Ps 106:23

i De 9:18, 19

volk die goue oorringe wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aäron toe gebring. 4 Daarna het hy die goud by hulle geneem, en hy het dit met 'n beitel gevorm en 'n beeld van 'n kalf^a daarvan gemaak. Hulle het begin sê: "Dit is julle God, o Israel, wat julle uit Egipte uitgelei het."^b

5 Toe Aäron dit sien, het hy 'n altaar voor die beeld gebou. Aäron het toe uitgeroep: "Môre is daar 'n fees vir Jehovah."

6 En hulle het die volgende dag vroeg opgestaan en brandoffers begin offer en vrede-offers* begin aanbied. Daarna het die volk gaan sit om te eet en te drink. Toe het hulle opgestaan om fees te vier.^c

7 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Gaan, klim af, want jou volk, wat jy uit Egipte uitgelei het, het goddeloos opgetree.^d

8 Hulle het gou van die weg afgewyk wat ek hulle beveel het om te volg.^e Hulle het vir hulle 'n beeld van 'n kalf gemaak, en hulle hou aan om daarvoor neer te buig en daaraan offerandes te bring en te sê: 'Dit is julle God, o Israel, wat julle uit Egipte uitgelei het.'" 9 Jehovah het verder vir Moses gesê: "Ek het gesien dat hierdie volk 'n hardkoppige volk is.^f 10 Moet my nie probeer keer nie. Laat ek hulle vernietig, want ek is woedend, en laat ek jou 'n groot nisie maak."^g

11 Toe het Moses by Jehovah sy God gepleit^h en gevra: "Hoekom, o Jehovah, sou u u woede oor u volk uitstort nadat u hulle met groot krag en met 'n sterk hand uit Egipte uitgelei het?" 12 Want dan sal die Egiptenare sê: 'Hy het hulle

32:6 *Of "gemeenskapsoffers". 32:11 *Of "die aangesig van Jehovah sy God versag".

met slegte bedoelings uitgelei. Hy wou hulle tussen die berge doodmaak en hulle van die oppervlak van die aarde af uitroei.^a Laat u brandende woede bedaar en heroorweeg* u besluit om hierdie rampspoed oor u volk te bring. **13** Dink aan u knegte Abraham, Isak en Israel, vir wie u by uself gesweer het en gesê het: 'Ek sal julle nageslag* vermeerder soos die sterre van die hemel,^b en ek sal hierdie hele land wat ek vir julle nageslag* uitgekies het, aan hulle gee, sodat hulle dit as 'n permanente besitting kan neem.'^c

14 Jehovah het dus sy besluit heroorweeg* en het nie die rampspoed waarvan hy gepraat het, oor sy volk gebring nie.^d

15 Moses het toe omgedraai en teen die berg afgeklim met die twee tablette van die Getuïenis^e in sy hande.^f Daar was op albei kante van die tablette geskryf, aan die voorkant en aan die agterkant. **16** Die tablette was die werk van God, en die skrif wat op die tablette gegraveer was, was die skrif van God.^g **17** Toe Josua die geraas van die volk begin hoor omdat hulle so geskree het, het hy vir Moses gesê: "Dit klink of daar oorlog in die kamp is."

18 Maar Moses het gesê:

"Dit klink nie soos 'n oorwinningslied nie, en dit klink nie soos 'n gehuil omdat hulle 'n geveg verloor het nie.

Dit is 'n ander soort singery wat ek hoor."

19 Toe Moses naby die kamp kom en die kalf^h en die danse sien, het hy woedend geword,

32:12 *Of "voel spyt oor". **32:13** *Lett. "saad". **32:14** *Of "Jehovah het dus spyt gevoel oor sy besluit".

HFST. 32

a De 9:28

b Ge 22:15-17
Ge 35:10, 11
Heb 6:13, 14

c Ge 13:14, 15
Ge 26:3, 4

d Ps 106:45

e Eks 40:20
De 5:22

f De 9:15

g Eks 31:18
De 9:10

h Ne 9:18
Ps 106:19, 20
Han 7:41

Tweede kol.

a De 9:16, 17

b De 7:25

c De 9:21

d Eks 15:24
Eks 16:2
Eks 17:2
De 9:7
De 31:27

e Eks 32:1
Han 7:40

f Jos 24:15
2Kn 10:15

g Nu 25:5

en hy het die tablette aan die voet van die berg stukkend gegooi.^a **20** Hy het die kalf geneem wat hulle gemaak het en dit met vuur verbrand en dit fyngemaal totdat dit poeier was.^b Toe het hy dit in die water gegooi en die Israeliete dit laat drink.^c **21** En Moses het vir Aäron gevra: "Wat het hierdie volk aan jou gedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?" **22** Aäron het geantwoord: "Moenie woedend wees nie, my heer. Jy weet goed dat die volk geneig is om te doen wat sleg is.^d **23** Hulle het vir my gesê: 'Maak vir ons 'n god wat voor ons uit sal gaan, want ons weet nie wat geword het van hierdie Moses, die man wat ons uit Egipte uitgelei het nie.'^e **24** Daarom het ek vir hulle gesê: 'Enigiemand wat goud het, moet dit afhaal en vir my gee.' Toe het ek dit in die vuur gegooi, en hierdie kalf het uitgekóm."

25 Moses het gesien dat die volk handuit geruk het, omdat Aäron dit toegelaat het, en hulle het hulle skandelik gedra voor hulle teenstanders. **26** Toe het Moses by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: "Wie is aan Jehovah se kant? Kom na my toe!"^f En al die Leviete het om hom bymekaar-gekom. **27** Hy het toe vir hulle gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, gesê het: 'Elkeen van julle moet sy swaard neem en deur die hele kamp gaan, van ingang tot ingang, en sy broer, sy buurman en sy vriend doodmaak.'^g **28** Die Leviete het gedoen wat Moses gesê het. Sodat 3 000 mans is dus op daardie dag doodgemaak. **29** Toe het Moses gesê: "Sonder julle vandag af* vir Je-

32:29 *Lett. "Vul julle hand vandag".

hovah, want elkeen van julle het teen sy eie seun en sy eie broer opgetree.^a Vandag sal hy julle seën.”^b

30 Die volgende dag het Moses vir die volk gesê: “Julle het ’n baie groot sonde gepleeg, en nou sal ek na Jehovah toe opklim om te sien of ek vir julle sonde versoening kan doen.”^c

31 Daarna het Moses na Jehovah toe teruggekeer en gesê: “Hierdie volk het ’n baie groot sonde gepleeg! Hulle het vir hulle ’n god van goud gemaak!^d

32 As u wil, vergewe asseblief hulle sonde.^e Maar as u nie wil nie, wis my dan asseblief uit u boek uit wat u geskryf het.”^f

33 Maar Jehovah het vir Moses gesê: “Slegs die persoon wat teen my gesondig het, sal ek uit my boek uitwis. **34** Gaan dan nou, lei die volk na die plek waarvan ek met jou gepraat het. My engel sal voor jou uit gaan,^g en op die dag waarop ek rekenenskap eis, sal ek hulle straf vir hulle sonde.” **35** Toe het Jehovah die volk met ’n plaag begin tref omdat hulle die kalf gemaak het – die kalf wat Aäron gemaak het.

33 Jehovah het verder vir Moses gesê: “Vertrek van hier af, jy en die volk wat jy uit Egipte uitgelei het. Gaan na die land wat ek aan Abraham, Isak en Jakob met ’n eed belowe het deur te sê: ‘Ek sal dit aan julle nageslag* gee.’^h **2** Ek sal ’n engel voor julle uit stuurⁱ en die Kanaäniete, die Amorie, die Hetiete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete verdryf.^j **3** Gaan na ’n land wat oorloop van melk en heuning.^k Maar ek sal nie saam met julle gaan nie, want julle is ’n hard-

HFST. 32

a Nu 25:11
De 13:6-9

b De 33:8, 9

c Nu 16:47
Nu 21:7
De 9:18

d Eks 20:23

e Nu 14:19

f Flp 4:3
Op 3:5

g Eks 23:20
Eks 33:2

HFST. 33

h Ge 12:7
Ge 26:3

i Eks 23:20
Eks 32:34

j De 7:1, 22
Jos 24:11

k Eks 3:8
De 8:7-9

Tweede kol.

a Eks 32:9
De 9:6
Han 7:51

b Eks 32:10
Nu 16:21

c Eks 34:9
De 9:6
Han 7:51

d Nu 16:45

e Eks 18:25, 26
Nu 27:1-5

f Eks 13:21
Ps 99:7

g Nu 11:16, 17
Nu 12:5

h Eks 33:22, 23
Nu 12:8
De 34:10
Joh 1:18
Joh 6:46
Han 7:38

i Nu 11:28
De 1:38
Jos 1:1

j Eks 17:9
Eks 24:13

koppige volk,^a en ek sal julle dalk op die pad vernietig.”^b

4 Toe die volk hierdie harde woorde hoor, het hulle begin treur, en nie een van hulle het juwele of mooi klere gedra nie.

5 Jehovah het vir Moses gesê: “Sê vir die Israeliete: ‘Julle is ’n hardkoppige volk.^c Ek kan binne ’n oomblik deur julle kamp gaan en julle vernietig.^d Moet dus nie juwele of mooi klere dra terwyl ek besluit wat ek met julle gaan doen nie.’” **6** Van die berg Horeb af het die Israeliete dus nie meer hulle juwele gedra nie.

7 En Moses het sy tent geneem en dit buite die kamp opgeslaan, ’n hele ent van die kamp af, en hy het dit ’n tent van samekoms genoem. Elkeen wat Jehovah vir leiding wou vra,^e het uitgegaan na die tent van samekoms, wat buite die kamp was. **8** Sodra Moses na die tent uitgegaan het, het die hele volk opgestaan en het elkeen by die ingang van sy tent gaan staan, en hulle het Moses dopgehou totdat hy in die tent ingegaan het. **9** Sodra Moses in die tent ingegaan het, het die wolkkolom^f afgekoms en by die ingang van die tent gaan staan terwyl God met Moses gepraat het.^g **10** Wanneer die hele volk die wolkkolom by die ingang van die tent sien staan het, het elkeen van hulle opgestaan en by die ingang van sy tent neergebui. **11** Jehovah het direk* met Moses gepraat,^h net soos een man met ’n ander man sou praat. Wanneer hy na die kamp teruggekeer het, het Josua,ⁱ die seun van Nun, sy dienaar en helper,^j nie die tent verlaat nie.

12 En Moses het vir Jehovah gesê: “Kyk, u sê vir my: ‘Lei

33:11 *Lett. “van aangesig tot aangesig”.

hierdie volk,' maar u het my nie laat weet wie u saam met my sal stuur nie. Wat meer is, u het gesê: 'Ek ken jou by naam,* en jy geniet ook my goedkeuring.' **13** Asseblief, as ek u goedkeuring geniet, maak dan u weë aan my bekend,^a sodat ek u kan ken en kan aanhou om u goedkeuring te geniet. Onthou ook dat hierdie nasie u volk is."^b **14** Toe het God gesê: "Ek sal self saam met jou gaan^c en ek sal jou rus gee."^d **15** Moses het vir hom gesê: "As u nie self saamgaan nie, moet u ons nie hiervandaan laat wegtrek nie. **16** Hoe sal mense weet dat ek en u volk u goedkeuring geniet? Net as u saam met ons gaan,^e sal dit duidelik wees dat ek en u volk anders is as enige ander volk op die aarde."^f

17 Jehovah het verder vir Moses gesê: "Ek sal ook doen wat jy vra, want jy geniet my goedkeuring, en ek ken jou by naam."^g **18** Toe het Moses gesê: "Laat my asseblief u heerlikheid sien." **19** Maar hy het gesê: "Ek sal jou al my goedheid laat sien, en ek sal die naam van Jehovah aan jou bekend maak."^g Ek sal my goedkeuring gee aan wie ek my goedkeuring wil gee, en ek sal genade betoon aan wie ek genade wil betoon."^h **20** Maar hy het bygevoeg: "Jy kan nie my gesig sien nie, want geen mens kan my sien en lewe nie."

21 Jehovah het verder gesê: "Hier is 'n plek naby my. Gaan staan op die rots. **22** Wanneer ek jou my heerlikheid laat sien, sal ek jou in 'n skeur in die rots sit, en ek sal jou met my hand beskerm totdat ek verbygegaan het. **23** Daarna sal ek my hand wegneem, en jy sal my van agter sien. Maar my gesig kan nie gesien word nie."ⁱ

33:12 *Of "Ek het jou gekies".

HFST. 33

- a Ps 25:4
- Ps 27:11
- Ps 86:11
- Ps 119:33
- Jes 30:21
- b De 9:26
- c Eks 13:21
- Eks 40:34
- Jos 1:5,17
- Jes 63:9
- d Jos 21:44
- Jos 23:1
- e Nu 14:13,14
- f De 4:34
- 2Sa 7:23
- Ps 147:20
- g Eks 3:13
- Eks 6:3
- Eks 34:6
- h Ro 9:15
- i Joh 1:18

Tweede kol.

HFST. 34

- a De 10:1
- b De 9:10
- c Eks 32:19
- De 9:17
- d Eks 19:20
- Eks 24:12
- e Eks 19:12,13
- f Han 7:38
- g Eks 6:3
- Eks 33:19
- h Lu 6:36
- i Eks 22:27
- 2Kr 30:9
- Ne 9:17
- Ps 86:15
- Jl 2:13
- j Nu 14:18
- 2Pe 3:9
- k Jer 31:3
- Klg 3:22
- Mi 7:18
- l Ps 31:5
- Ro 2:2
- m Da 9:4
- n Ps 103:12
- Jes 55:7
- Ef 4:32
- 1Jo 1:9
- o De 32:35
- Jos 24:19
- Ro 2:5
- 2Pe 2:4
- Jud 14,15
- p Eks 20:5
- De 30:19
- 1Sa 15:2

34 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Kap vir jou twee kliptablette uit soos die eerstes,^a en ek sal op die tablette die woorde skryf wat op die eerste tablette was,^b wat jy stukkend gegooi het.^c **2** Maak gereed vir die oggend, want in die oggend moet jy teen die berg Si'nai opklim en daar voor my op die top van die berg gaan staan.^d **3** Maar niemand mag saam met jou opklim nie, en niemand anders moet op enige deel van die berg gesien word nie. Nie eers die kleinvee of die beeste mag voor daardie berg wei nie."^e

4 Toe het Moses twee kliptablette uitgekap soos die eerstes en die oggend vroeg opgestaan en teen die berg Si'nai opgeklim, net soos Jehovah hom beveel het, en hy het die twee kliptablette in sy hande geneem. **5** Jehovah het toe in die wolke neergedaal^f en daar by hom gaan staan en die naam van Jehovah uitgeroep.^g **6** Jehovah het voor hom verbygegaan en uitgeroep: "Jehovah, Jehovah, 'n God wat genadig is^h en medelye* betoon,ⁱ wat nie gou kwaad word nie^j en vol lojale liefde^{kk} en waarheid^{ll} is, **7** wat lojale liefde aan duisende betoon,^m wat ongehoorsaamheid en oortreding en sonde vergewe.ⁿ Maar hy sal beslis nie die skuldiges ongestraf laat bly nie,^o want hy bring straf vir die oortreding van vaders oor kinders en oor kleinkinders, oor die derde geslag en oor die vierde geslag."^p

8 Moses het dadelik op sy knieë gegaan en neergebuig. **9** Toe het hy gesê: "O Jehovah, as ek nou u goedkeuring geniet,

34:6 *Sien Woordelys. ^oOf "liefde-ryke goedhartigheid". ^lOf "getrouheid".

gaan saam met ons, asseblief Jehovah, en wees met ons,^a alhoewel ons 'n hardkoppige volk is,^b en vergewe ons oortreding en ons sonde,^c en neem ons as u eie besitting.” **10** Hy het geantwoord: “Kyk, ek maak 'n verbond: Ek sal wonderlike dinge voor jou hele volk doen, dinge wat nog nooit op die hele aarde of onder enige van die nasies gedoen* is nie.^d En die hele volk onder wie jy woon, sal die werk van Jehovah sien, want dit is iets ontsagwekkends wat ek met julle doen.^e

11 “Skenk aandag aan wat ek julle vandag beveel.^f Kyk, ek verdryf die Amoriete, die Kanaaniëte, die Hetiëte, die Perisiete, die Hewiëte en die Jebusiete voor julle uit.^g **12** Sorg dat julle nie 'n verbond maak met die inwoners van die land waarheen julle gaan nie,^h anders sal dit dalk vir julle 'n strik word.ⁱ **13** Maar julle moet hulle altare afbreek, hulle heilige pilare stukkend breek en hulle heilige pale* afkap.^j **14** Julle mag nie voor 'n ander god neerbuig nie,^k want Jehovah is daarvoor bekend dat hy uitsluitlike toegewydheid vereis.* Ja, hy is 'n God wat uitsluitlike toegewydheid vereis.^l **15** Sorg dat julle nie 'n verbond met die inwoners van die land maak nie, want wanneer hulle gode aanbid* en aan hulle gode offerandes bring,^m sal julle genooi word, en julle sal van hulle offerandes eet.ⁿ **16** Dan sal julle van hulle dogters vir julle seuns neem,^o en hulle dogters sal hulle gode aanbid en maak dat julle seuns hulle gode aanbid.^p

34:10 *Of “geskep”. **34:13** *Sien Woordelys. **34:14** *Of “Jehovah, sy naam is Jaloers; Jehovah duld nie mededingers nie”. **34:15** *Lett. “prostitusie met hulle gode pleeg”.

HFST. 34

a Eks 33:14

b Eks 32:9

Eks 33:3

c Nu 14:19

d 2Sa 7:23
Ps 147:19, 20

e Eks 33:16
De 10:21

f Eks 19:5, 6
De 12:28

g Eks 3:8
Eks 33:2
De 7:1

h De 7:2

i Eks 23:32, 33

j Eks 23:24
De 12:3

k Eks 20:3
1Kor 10:14
1Jo 5:21

l Jos 24:19

m 1Kor 10:20

n Nu 25:2
2Kor 6:14

o Esr 9:2

p De 7:4
De 31:16
Rig 2:17
Rig 8:33
1Kn 11:2
Ne 13:26
Ps 106:28

Tweede kol.

a Eks 32:8
Le 19:4

b Le 23:6

c Eks 23:15

d Eks 13:2
Lu 2:23

e Eks 22:30

f Eks 13:15
Nu 18:15, 16

g De 5:12

h Eks 23:16
Le 23:34

i De 16:16

j Eks 34:11

17 “Julle mag nie gode van gegote metaal maak nie.^a

18 “Julle moet die Fees van die Ongesuurde Brode^b vier. Julle moet ongesuurde brood eet, net soos ek julle beveel het. Doen dit sewe dae lank op die vasgestelde tyd in die maand Abib,^{*c} want julle het Egipte in die maand Abib verlaat.

19 “Elke manlike eersgeborene* is myne,^d insluitende al die manlike eersgeborenes van julle vee, hetsy kalf of lam.^e **20** Julle moet elke eersgebore* donkie met 'n skaap loskoop. Maar as julle dit nie loskoop nie, moet julle sy nek breek. Julle moet elke eersgebore seun loskoop.^f Niemand mag met leë hande voor my verskyn nie.

21 “Ses dae lank moet julle werk, maar op die sewende dag moet julle rus.^{*g} Selfs in die ploegtyd en tydens die oes moet julle rus.

22 “En julle moet julle Fees van die Weke met die eerste opbrengs van die koringoes vier, en julle moet die Fees van die Insameling* aan die einde van die jaar vier.^h

23 “Drie keer per jaar moet al die mans onder julle voor die ware Heer, Jehovah, die God van Israel, verskyn.ⁱ **24** Want ek sal die nasies voor julle uit verdryf,^j en ek sal julle gebied vergroot, en niemand sal julle land begeer wanneer julle drie keer per jaar opgaan om voor Jehovah julle God te verskyn nie.

25 “Julle mag nie die bloed van my offerande saam met enigiets offer wat met suurdeeg

34:18 *Sien Aanb. B15. **34:19** *Lett. “Alles wat die baarmoeder open”.

34:20 *Of “eersteling van 'n”. **34:21** *Of “sabbat hou”. **34:22** *Ook die Huttefees genoem.

gemaak is nie.^a Die offerande van die Pasgafees mag nie oornag tot die oggend toe gehou word nie.^b

26 “Julle moet die beste van die eerste opbrengs van julle grond na die huis van Jehovah julle God bring.^c

“Julle mag nie ’n boklam in sy ma se melk kook nie.”^d

27 Jehovah het verder vir Moses gesê: “Jy moet hierdie woorde neerskryf,^e want dit is in ooreenstemming met hierdie woorde dat ek ’n verbond met jou en met Israel maak.”^f

28 En hy het 40 dae en 40 nagte daar by Jehovah gebly. Hy het niks geëet en niks gedrink nie.^g En Hy het die woorde van die verbond, die Tien Gebooie,^{*} op die tablette geskryf.^h

29 Moses het toe teen die berg Si’nai afgeklim, en die twee tablette van die Getuienis was in sy hande.ⁱ Toe hy teen die berg afklim, het Moses nie geweet dat sy gesig lig uitstraal omdat hy met God gepraat het nie. **30** Toe Aäron en al die Israëliete Moses sien, het hulle opgeliet dat sy gesig lig uitstraal, en hulle was bang om naby hom te kom.^j

31 Maar Moses het hulle geroep. Toe het Aäron en al die hoofmanne van die gemeenskap na hom toe gegaan, en Moses het met hulle gepraat. **32** Daarna het al die Israëliete nader aan hom gekom, en hy het al die bevel wat Jehovah vir hom op die berg Si’nai gegee het, aan hulle oorgegedra.^k **33** Wanneer Moses klaar met hulle gepraat het, het hy ’n sluier oor sy gesig gesit.^l **34** Maar wanneer Moses voor Jehovah ingegaan het om met

34:28 *Lett. “die Tien Woorde”. Ook die Dekaloog genoem.

HFST. 34

a Eks 23:18

b Eks 12:10
Nu 9:12

c Nu 18:8, 12
De 26:2
Spr 3:9

d Eks 23:19
De 14:21

e Eks 24:4
De 31:9, 11

f Eks 24:8
De 4:13

g De 9:18

h Eks 31:18
De 10:2

i Eks 32:15

j 2Kor 3:7

k Eks 24:3
De 1:3

l 2Kor 3:13

Tweede kol.

a 2Kor 3:16

b De 27:10

c 2Kor 3:7, 13

HFST. 35

d Eks 34:32

e Eks 20:9, 10
Le 23:3

f Eks 31:14, 15
Nu 15:32, 35

g Eks 25:2-7
Eks 35:29

h 2Kor 8:12
2Kor 9:7

i Eks 26:7
Eks 36:8

j Eks 25:3, 6

k Eks 28:9
Eks 39:14

l Eks 28:15

m Eks 31:6
Eks 36:1

hom te praat, het hy die sluier afgehaal totdat hy uitgegaan het.^a Dan het hy uitgegaan en die bevel wat hy ontvang het, aan die Israëliete bekend gemaak.^b **35** En wanneer die Israëliete gesien het dat Moses se gesig lig uitstraal, het Moses die sluier weer oor sy gesig gesit totdat hy ingegaan het om met God te praat.^c

35 Moses het later die hele gemeenskap van Israel bymekaareroep en vir hulle gesê: “Dit is die dinge wat Jehovah beveel het gedoen moet word:^d **2** Ses dae lank mag werk gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle iets heiligs word, ’n sabbat, ’n spesiale rusdag vir Jehovah.^e Enigiemand wat op daardie dag werk doen, moet doodgemaak word.^f **3** Julle mag nie op die Sabbatdag in enige van julle woonplekke vuur maak nie.”

4 Moses het toe vir die hele gemeenskap van Israel gesê: “Dit is wat Jehovah beveel het: **5** ‘Julle moet ’n bydrae vir Jehovah insamel.^g Laat elkeen wat ’n gewillige hart het,^h ’n bydrae vir Jehovah bring: goud, silwer, koper, **6** blou garing, pers wol, helder-rooi materiaal, fyn linne, bokhaar,ⁱ **7** rooigekeurde ramsvel, robbevelle, akasiahout, **8** olie vir die lampe, balsem vir die salfolie en vir die geurige reukwerk,^j **9** oniksstene en ander stene om in die efod^k en in die borsstuk^l te set.

10 “‘Laat almal onder julle kom wat vaardighede het,^m en laat hulle alles maak wat Jehovah beveel het, **11** naamlik die tabernakel met sy tent en sy bedekking, sy hakies en sy paneelrame, sy stawe, sy pilare

35:10 *Lett. “wys van hart is”.

en sy voetstukke; **12** die Ark^a en sy pale,^b die deksel^c en die gordyn^{*d} wat as die skerm dien; **13** die tafel^e en sy pale en al sy voorwerpe en die offerbrode;^f **14** die lampstaander^g om lig te gee, sy voorwerpe, sy lampe en die olie vir die lampe;^h **15** die reukwerkaltaarⁱ en sy pale; die salfolie en die geurige reukwerk;^j die skerm* vir die tabernakel se ingang; **16** die brandofferaltaar^k en sy koperrooster, sy pale en al sy voorwerpe; die kom en sy voetstuk;^l **17** die hangende gordyne van die voorhof,^m sy pilare en sy voetstukke; die skerm* van die ingang van die voorhof; **18** die tentpenne van die tabernakel en die tentpenne van die voorhof en hulle toue;ⁿ **19** die fyngeweefde klere^o vir diens in die heiligdom, die heilige klere vir die priester Aäron^p en die klere van sy seuns vir hulle priesterlike diens.^q

20 Toe het die hele gemeenskap van Israel van Moses af weggegaan. **21** Daarna het almal wie se hart hulle beweeg het^r en wie se gees hulle aangedryf het, gekom en hulle bydrae vir Jehovah gebring wat gebruik moes word vir die tent van samekoms, vir alles wat nodig was vir die diens daar en vir die heilige klere. **22** Hulle het bly kom, die mans en die vrouens, elkeen wat 'n gewillige hart gehad het, en hulle het borspelde, ooringe, ringe en ander juwele sowel as allerhande goue voorwerpe gebring. Hulle het almal hulle offers* van goud vir Jehovah aangebied.^r **23** En almal wat blou garing, pers wol, helderrooi materiaal, fyn linne, bokhaar, rooigekeurde rams-

HFST. 35

a Eks 25:10

b Eks 25:13

c Eks 25:17

d Eks 26:31

e Eks 25:23

f Eks 25:30
Le 24:5, 6

g Eks 25:31

h Eks 27:20

i Eks 30:1
Eks 37:25
Eks 40:5

j Eks 30:34, 35

k Eks 27:1

l Eks 30:18
Eks 38:8

m Eks 27:9

n Eks 27:19

o Eks 31:6, 10
Eks 39:33, 41

p Eks 39:1

q Eks 25:2
Eks 36:2
2Kor 8:12
2Kor 9:7

r Eks 38:24

Tweede kol.

a Eks 28:3
Eks 31:6
Eks 36:8b Eks 28:15, 28
Eks 39:15, 21

c Eks 30:23-25

d Eks 30:34, 35

e Eks 36:5
2Kor 9:7

f Eks 31:2-6

g Eks 36:1

h Eks 31:3

velle en robbevelle gehad het, het dit gebring. **24** Almal wat silwer en koper wou bydra, het dit as 'n bydrae vir Jehovah gebring, en almal wat akasihout vir enige deel van die werk gehad het, het dit gebring.

25 Al die vrouens wat vaardighede gehad het,^a het met hulle hande gespin, en hulle het gebring wat hulle gespin het: blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn linne. **26** En al die vrouens wat vaardighede gehad het en wie se hart hulle beweeg het, het die bokhaar gespin.

27 En die hoofmanne het oniksstene en ander stene gebring wat in die efod en in die borsstuk^b geset moes word, **28** sowel as die balsem en die olie vir die lampe en vir die salfolie^c en vir die geurige reukwerk.^d **29** Al die mans en vrouens wie se hart hulle beweeg het, het iets gebring vir die werk wat Jehovah deur middel van Moses beveel het gedoen moet word. Die Israeliete het dit as 'n vrywillige offer vir Jehovah gebring.^e

30 Toe het Moses vir die Israeliete gesê: "Kyk, Jehovah het Besa'leël, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, gekies.^f **31** Hy het hom met die gees van God gevul en hom wysheid, begrip en kennis van elke soort ambag gegee **32** om kunstige ontwerpe te maak, om met goud, silwer en koper te werk, **33** om stene te sny en te set en om allerhande soorte kunstige houtvoorwerpe te maak. **34** En hy het dit in sy hart gesit om ander te leer, hy en Oho'liab,^g die seun van Ahi'samag, van die stam van Dan. **35** Hy het hulle die vaardighede* gegee^h om al die werk

35:12 *Of "voorhangsel". 35:15, 17 *Of "gordyn". 35:22 *Of "beweegoffers".

35:35 *Lett. "wysheid van hart".

te doen van 'n ambagsman, 'n borduurder, 'n maker van weefstof en 'n wewer van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn linnedraad. Hierdie manne sal elke soort werk doen en allerhande ontwerpe maak.

36 "Besaleël moet saam met Oho'liab werk, en saam met elke vaardige man* aan wie Jehovah wysheid en begrip gegee het sodat hulle sal weet hoe om al die werk in verband met die heilige diens te doen net soos Jehovah beveel het."^a

2 Moses het Besaleël en Oho'liab toe geroep, sowel as elke vaardige man aan wie Jehovah wysheid gegee het,^{*b} elkeen wie se hart hom beweeg het om die werk vrywillig te doen.^c

3 Toe het hulle die hele bydrae^d wat die Israeliete vir die heilige diens gebring het, by Moses geneem. Maar die Israeliete het aangehou om elke oggend vrywillige offers na hom toe te bring.

4 Daarna, nadat hulle met die heilige werk begin het, het al die vaardige werkers begin kom, die een ná die ander, 5 en hulle het vir Moses gesê: "Die volk bring baie meer as wat nodig is vir die werk wat Jehovah beveel het gedoen moet word." 6 Toe het Moses beveel dat die volgende aankondiging in die hele kamp gemaak moet word: "Manne en vroue, moenie nog goed vir die heilige bydrae bring nie." Die volk het toe opgehou om goed te bring. 7 Daar was genoeg materiaal vir al die werk wat gedoen moes word, ja, oorgenoeg.

8 En die vaardige werkers^e het die tabernakel gemaak^f met

36:1 *Lett. "elke man wat wys van hart is". 36:2 *Lett. "in wie se hart Jehovah wysheid gesit het".

HFST. 36

a Eks 25:9
Eks 31:6

b Eks 28:3
Eks 35:10

c Eks 35:21, 26

d Eks 35:5-9
Spr 3:9
2Kor 9:7

e Eks 31:6

f Eks 25:9
Eks 39:32
Heb 9:9

Tweede kol.

a Eks 26:1-6

b Eks 26:7-11

tien tentdoeke van fyn gedraaide linnedraad, blou garing, pers wol en helderrooi materiaal. Hy* het dit gemaak met geborduurde gerubs daarop.^a 9 Elke tentdoek was 28 el* lank en 4 el breed. Al die tentdoeke was ewe groot. 10 Toe het hy vyf van die tentdoeke aanmeekaargeheg, en hy het ook die ander vyf tentdoeke aanmeekaargeheg. 11 Daarna het hy lissies van blou garing aan die rand van die een tentdoek gemaak waar dit vasgehaak sou word. Hy het dieselfde gedoen aan die rand van die buitenste tentdoek waar die twee reekse tentdoeke aan mekaar vasgehaak sou word. 12 Hy het 50 lissies aan die een tentdoek en 50 lissies aan die rand van die ander tentdoek gemaak waar hulle aan mekaar vasgehaak sou word, sodat die lissies teenoor mekaar sou wees. 13 Uiteindelik het hy 50 goue hakies gemaak en die twee reekse tentdoeke met die hakies aan mekaar vasgehaak, sodat die tabernakel 'n eenheid gevorm het.

14 Toe het hy tentdoeke van bokhaar gemaak vir die tent oor die tabernakel. Hy het 11 tentdoeke gemaak.^b 15 Elke tentdoek was 30 el lank en 4 el breed. Die 11 tentdoeke was ewe groot. 16 Toe het hy vyf van die tentdoeke aanmeekaargeheg, en hy het ook die ander ses tentdoeke aanmeekaargeheg. 17 Daarna het hy 50 lissies aan die rand van die buitenste tentdoek gemaak, en hy het 50 lissies aan die rand van die ander tentdoek gemaak op die plek waar die twee reekse tentdoeke aan mekaar vasgehaak sou word. 18 En hy het 50 koper-

36:8 *Verwys blykbaar na Besaleël. 36:9 *n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

hakies gemaak om die dele van die tent aan mekaar vas te haak sodat dit 'n eenheid sou vorm.

19 Hy het 'n bedekking van rooigekeurde ramsvelle vir die tent gemaak, en 'n bedekking van robbevelle om daar bo-oor te gaan.^a

20 Toe het hy die regopstaande paneelrame van die tabernakel van akasihout^b gemaak.^c **21** Elke paneelraam was tien el hoog en een en 'n half el breed. **22** Elke paneelraam het twee tappe* gehad wat parallel was met mekaar.[#] Dit is hoe hy al die paneelrame van die tabernakel gemaak het. **23** So het hy die paneelrame vir die suidekant van die tabernakel gemaak, 20 paneelrame wat na die suide toe kyk. **24** Toe het hy 40 silwervoetstukke gemaak om onder die 20 paneelrame te sit: twee voetstukke onder elkeen van die paneelrame vir hulle twee tappe.^d **25** Vir die ander kant van die tabernakel, die noordekant, het hy 20 paneelrame gemaak, **26** sowel as hulle 40 silwervoetstukke: twee voetstukke onder elkeen van die paneelrame.

27 Vir die agterste deel van die tabernakel, aan die westekant, het hy ses paneelrame gemaak.^e **28** Hy het twee paneelrame gemaak as hoekstutte vir die twee hoeke aan die agterkant van die tabernakel. **29** Die hoekstutte het uit twee dele bestaan wat aan die bokant by die eerste ring bymekaargekom het. Dit is hoe hy die twee hoekstutte gemaak het. **30** Daar was dus agt paneelrame en 16 silwervoetstukke, twee voetstukke onder elke paneelraam.

36:22 *Of moontlik "regop stutte".
#Of "wat met mekaar verbind was".

HFST. 36

a Eks 26:14

b Eks 25:10, 23

Eks 27:1

Eks 30:5

Eks 36:36

c Eks 26:15-18

d Eks 26:19-21

e Eks 26:22-25

Tweede kol.

a Eks 26:26-28

b Eks 26:29

c Eks 40:21
Heb 10:19, 20

d Ge 3:24

e Eks 26:31, 32

f Eks 26:36, 37

HFST. 37

g Eks 31:2-5

Eks 38:22

h Eks 40:3

Nu 10:33

i Eks 25:10-15

31 Toe het hy stawe van akasihout gemaak, vyf vir die paneelrame aan die een kant van die tabernakel^a **32** en vyf vir die paneelrame aan die ander kant van die tabernakel en vyf vir die paneelrame vir die agterste deel van die tabernakel, aan die westekant. **33** Hy het die middelste staaf gemaak sodat dit oor die middel van die paneelrame strek, van die een ent tot die ander ent. **34** Hy het die paneelrame met goud oorgetrek, en hy het vir die paneelrame ringe van goud gemaak waardeur die stawe gesteek word, en hy het die stawe met goud oorgetrek.^b

35 Toe het hy 'n gordyn^{*c} gemaak van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad. Gerubs^d is daarop geborduur.^e **36** Toe het hy vier akasihoutpilare daarvoor gemaak en hulle met goud oorgetrek. Hy het ook goue hakies gemaak en vier silwervoetstukke daarvoor giet. **37** Daarna het hy vir die ingang van die tent 'n skerm* gemaak van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad wat saamgeweef is,^f **38** sowel as sy vyf pilare en hulle hakies. Hy het die pilare se kopstukke en verbindingstukke* met goud oorgetrek, maar hulle vyf voetstukke was van koper.

37 Besa^{leël}^g het toe die Ark^h van akasihout gemaak. Dit was twee en 'n half el* lank en een en 'n half el breed en een en 'n half el hoog.ⁱ **2** Hy het die binnekant en die buitekant daarvan

36:35 *Of "voorhangsel". **36:37** *Of "gordyn". **36:38** *Of "ringe; bande" wat gebruik is om voorwerpe aan mekaar te verbind. **37:1** *n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

met suiwer goud oorgetrek en 'n goue randversiering daarom gemaak.^a **3** Daarna het hy vier goue ringe daarvoor gegiet, wat bo die vier pote vasgesit is, met twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant. **4** Hy het toe pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek.^b **5** Toe het hy die pale deur die ringe aan die kante van die Ark gesteeek om die Ark mee te dra.^c

6 Hy het die deksel van suiwer goud gemaak.^d Dit was twee en 'n half el lank en een en 'n half el breed.^e **7** Hy het toe twee gerubs^f van goud gemaak. Hy het hulle met 'n hamer gevorm, en hulle was weerskante bo-op die deksel.^g **8** Een gerub was aan die een kant, en die ander gerub was aan die ander kant. Hy het die gerubs gemaak, en hulle was weerskante bo-op die deksel. **9** Die twee gerubs het hulle vierke na bo uitgesprei, bo-oor die deksel.^h Hulle koppe was na mekaar toe, en hulle gesigte het na die deksel afgekyk.ⁱ

10 Hy het toe die tafel van akasiahout gemaak.^j Dit was twee el lank, een el breed en een en 'n half el hoog.^k **11** En hy het dit met suiwer goud oorgetrek en 'n goue randversiering daarom gemaak. **12** Daarna het hy 'n rand van 'n handbreedte* om die tafel gemaak, en aan daardie rand het hy 'n goue randversiering reg rondom gemaak. **13** Verder het hy vier goue ringe daarvoor gegiet en die ringe aan die vier hoeke vasgesit waar die vier pote was. **14** Die ringe was naby die rand, en die pale waarmee die tafel gedra is, is deur die ringe gesteeek. **15** Toe

37:12 *Omtrent 7,4 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 37

a Heb 9:4

b 2Kr 5:9

c Jos 3:8

d Le 16:2, 14
1Kr 28:11

e Eks 25:17-20

f Ge 3:24

g Eks 40:20

h Heb 9:5

i 1Sa 4:4
Ps 80:1

j Eks 40:4

k Eks 25:23-28

Tweede kol.

a Eks 25:29

b Eks 40:24
Le 24:4
2Kr 13:11

c Eks 25:31-39

d Nu 8:2

het hy die pale waarmee die tafel gedra is, van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek. **16** Daarna het hy die voorwerpe wat op die tafel was – sy skottels, sy bekere en sy bakke en kanne waaruit drankoffers gegooi sou word – van suiwer goud gemaak.^a

17 Toe het hy die lampstaander^b van suiwer goud gemaak. Hy het dit met 'n hamer gevorm. Die lampstaander se voetstuk, steel, kelke, knoppe en bloeisels was alles een stuk.^c **18** Ses arms het uit die steel van die lampstaander gekom: drie arms uit die een kant en drie arms uit die ander kant. **19** Drie kelke in die vorm van amandelblomme was aan die een stel arms, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel, en drie kelke in die vorm van amandelblomme was aan die ander stel arms, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel. Dit is hoe die ses arms gemaak is wat uit die steel van die lampstaander gekom het. **20** En aan die steel van die lampstaander was daar vier kelke in die vorm van amandelblomme, met knoppe en bloeisels wat mekaar afwissel. **21** Daar was 'n knop onder die eerste twee arms wat uit die steel gekom het, en 'n knop onder die volgende twee arms en 'n knop onder die laaste twee arms. Dit is hoe al ses arms was wat uit die steel van die lampstaander gekom het. **22** Die knoppe en die arms en die hele lampstaander het uit een stuk suiwer goud bestaan. Dit is met 'n hamer gevorm. **23** Toe het hy die sewe lampe^d en die snuiters* en die vuurbakies van suiwer goud gemaak. **24** Hy het die lampstaander en

37:23 *Of "tange".

al sy voorwerpe van 'n talent* suiwer goud gemaak.

25 Hy het toe die reukwerk-altaar^a van akasihout gemaak. Dit was vierkantig, 'n el lank, 'n el breed en twee el hoog. Die horings was deel van die altaar.^b

26 Hy het die altaar met suiwer goud oorgetrek: die boonste oppervlak, al die kante en die horings. Hy het ook 'n goue randversiering daarom gemaak.

27 Hy het onder die randversiering aan twee teenoorgestelde kante twee goue ringe daarvoor gemaak, en die pale waarmee dit gedra is, is daardeur gesteek. **28** Daarna het hy die pale van akasihout gemaak en dit met goud oorgetrek. **29** Hy het ook die heilige salfolie^c en die suiwer, geurige reukwerk^d met vaardigheid gemeng.*

38 Hy het die brandoffertal-
taar van akasihout gemaak. Dit was vierkantig, vyf el* lank, vyf el breed en drie el hoog.^e **2** Toe het hy die horings op die vier hoeke gemaak. Die horings was deel van die altaar. Daarna het hy die altaar met koper oorgetrek.^f **3** Toe het hy al die voorwerpe van die altaar gemaak: die emmers, die grawe, die bakke, die vurke en die vuurbakke. Hy het al die voorwerpe van koper gemaak. **4** Hy het ook 'n rooster gemaak wat binne-in die altaar was, 'n netwerk van koper wat onder die rand omtrent halfpad ondertoe was. **5** Hy het vier ringe vir die vier hoeke naby die koperrooster gegiet, en die pale is deur die ringe gesteek. **6** Daarna het hy die pale van akasihout gemaak en dit met

37:24 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. **37:29** *Of "gemeng soos 'n salfmaker dit sou meng". **38:1** *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 37

a Eks 30:7
Eks 40:5
Ps 141:2
Op 8:3

b Eks 30:1-5

c Eks 30:25, 33
Eks 40:9

d Eks 30:34, 35
Ps 141:2

HFST. 38

e Eks 27:1-8
Eks 40:10

f 2Kr 1:5

Tweede kol.

a Eks 30:18
Le 8:11
1Kn 7:23

b Eks 40:8

c Eks 27:9-15

koper oorgetrek. **7** Hy het die pale deur die ringe aan die kante van die altaar gesteek, sodat dit gedra kon word. Hy het die altaar van planke gemaak, in die vorm van 'n kis.

8 Toe het hy die koperkom^a en sy kopervoetstuk gemaak. Hy het dit gemaak van die spieëls* van die vrouens wat georganiseer is om by die ingang van die tent van samekoms te dien.

9 Daarna het hy die voorhof gemaak.^b Vir die suidekant van die voorhof, wat na die suide toe kyk, het hy hangende gordyne gemaak. Dit het oor 'n lengte van 100 el gestrek en was van fyn gedraaide linnedraad gemaak.^c **10** Daar was 20 pilare en 20 kopervoetstukke, en die hakies van die pilare en hulle verbindingstukke* was van silwer. **11** En vir die noordekant was daar hangende gordyne wat oor 'n lengte van 100 el gestrek het. Hulle 20 pilare en hulle 20 voetstukke was van koper. Die hakies van die pilare en hulle verbindingstukke* was van silwer. **12** Maar aan die westekant was daar hangende gordyne wat oor 'n lengte van 50 el gestrek het. Daar was tien pilare en tien voetstukke, en die hakies van die pilare en hulle verbindingstukke* was van silwer. **13** Die breedte van die voorhof aan die oostekant, aan die kant waar die son opkom, was 50 el. **14** Aan die een kant van die ingang was daar hangende gordyne wat oor 'n lengte van 15 el gestrek het, met drie pilare en drie voetstukke. **15** En aan die ander kant van die ingang van die voorhof

38:8 *D.w.s. spieëls van metaal wat gepoleer is. **38:10-12** *Of "ringe; bande" wat gebruik is om voorwerpe aan mekaar te verbind.

was daar hangende gordyne wat oor 'n lengte van 15 el gestrek het, met drie pilare en drie voetstukke. **16** Al die hangende gordyne om die voorhof was van fyn gedraaide linnedraad. **17** Die voetstukke vir die pilare was van koper, die hakies van die pilare en hulle verbindingstukke* was van silwer, die kopstukke was met silwer oorgetrek, en daar was silwerverbindingstukke vir al die pilare van die voorhof.^a

18 Die skerm* van die ingang van die voorhof was geweef van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad. Dit was 20 el lank en 5 el hoog, net so hoog soos die hangende gordyne van die voorhof.^b **19** Hulle vier pilare en hulle vier voetstukke was van koper gemaak. Hulle hakies en verbindingstukke* was van silwer, en hulle kopstukke was met silwer oorgetrek. **20** Al die tentpenne vir die tabernakel en die voorhof was van koper.^c

21 Hier volg 'n verslag van die materiale wat gebruik is vir die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis.^d Die verslag is op Moses se bevel opgestel en was die verantwoordelikheid van die Leviete^e onder die leiding van I'tamar,^f die seun van die priester Aäron. **22** Besaleël,^g die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, het alles gedoen wat Jehovah Moses beveel het. **23** Hy het hulp ontvang van Oho'liab,^h die seun van Ahi'samag, van die stam van Dan, 'n ambagsman en 'n borduurder en 'n wewer van blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn linne.

38:17, 19 *Of "ringe; bande" wat gebruik is om voorwerpe aan mekaar te verbind. **38:18** *Of "gordyn".

HFST. 38

a Eks 27:17

b Eks 27:16

c Eks 27:19

d Eks 25:16
Eks 31:18
Nu 17:7e Nu 3:6
Nu 4:46, 47f Eks 6:23
Nu 4:28
1Kr 6:3g Eks 31:2-5
Eks 35:30
Eks 36:1
Eks 37:1
2Kr 1:5h Eks 31:6
Eks 35:34
Eks 36:2

Tweede kol.

a Eks 35:22

b Eks 12:37
Nu 1:45, 46

c Eks 30:15

d Eks 26:19-21
Eks 26:25, 32

e Eks 27:19

HFST. 39

f Eks 35:23

24 Al die goud wat vir al die werk by die heiligdom gebruik is, was gelyk aan die bedrag van die goud van die beweegoffer:^a 29 talente* en 730 sikkels[#] volgens die standaardsikkel van die heiligdom.[^] **25** En die silwer van die geregistreerdes van die gemeenskap van Israel was 100 talente en 1775 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom.[^] **26** Die halvesikkel vir elke geregistreerde man was die helfte van 'n sikkel volgens die standaardsikkel van die heiligdom.[^] Altesaam 603 550^b mans van 20 jaar en ouer^c is geregistreer.

27 Altesaam 100 talente is gebruik om die voetstukke van die heiligdom en die voetstukke van die gordyn* te giet; 100 voetstukke was gelyk aan 100 talente, een talent vir elke voetstuk.^d **28** Met die 1775 sikkels het hy hakies gemaak vir die pilare en hulle kopstukke oorgetrek en hulle met mekaar verbind.

29 Die koper van die offer* was 70 talente en 2 400 sikkels. **30** Hy het dit gebruik om die voetstukke van die ingang van die tent van samekoms te maak, sowel as die koperaltaar en sy koperrooster, al die voorwerpe van die altaar, **31** die voetstukke van die voorhof, die voetstukke van die ingang van die voorhof en al die tentpenne van die tabernakel en al die tentpenne^e van die voorhof.

39 Van die blou garing, die pers wol en die helderrooi materiaal^f het hulle fyngeweefde klere gemaak vir diens in die

38:24 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanb. B14. [#]'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanb. B14. **38:24-26** [^]Of "volgens die heilige sikkel". **38:27** *Of "voorhangsel". **38:29** *Of "beweegoffer".

heiligdom. Hulle het die heilige klere vir Aäron gemaak,^a net soos Jehovah Moses beveel het.

2 Hy het die efod^b gemaak van goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad. **3** Hulle het goue plate uitgeklop tot dat dit dun blaaië was, en Besa'leël het dit in dun draadjies gesny om saam met die blou garing, die pers wol, die helderrooi materiaal en die fyn linne in te weef, en daar is op die efod gebordu. **4** Hulle het skouerstukke vir die efod gemaak wat by die twee bokante daarvan met mekaar verbind is. **5** En die geweeftde lyfband, wat aan die efod vasgeheg is om dit in plek te hou,^c is van dieselfde materiale gemaak, naamlik goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad, net soos Jehovah Moses beveel het.

6 Toe het hulle die oniksstene in goue monterings geset, en hulle het die name van die seuns van Israel daarop gegraveer, net soos daar op 'n seël gegraveer word.^d **7** Besa'leël het die stene op die skouerstukke van die efod gesit as 'n herinnering aan die seuns van Israel,^e net soos Jehovah Moses beveel het. **8** Daarna het hy die borsstuk^f gemaak. Dit was die werk van 'n borduurder, net soos die efod. Dit was van goud, blou garing, pers wol, helderrooi materiaal en fyn gedraaide linnedraad.^g **9** Dit was vierkantig wanneer dit dubbel gevou was. Hulle het die borsstuk gemaak, en wanneer dit dubbel gevou was, was dit so lank en so breed soos die span van 'n hand.* **10** Hulle het vier rye stene daarin geset. In die eer-

39:9 *Omtrent 22,2 cm. Sien Aanb. B14.

HFST. 39

a Eks 28:4, 5
Eks 29:5
Eks 35:10, 19

b Eks 28:6-8
Le 8:7

c Eks 29:5

d Eks 28:9, 10

e Eks 28:12

f Le 8:8

g Eks 28:15-21

Tweede kol.

a Eks 28:22-25

b Eks 28:26-28

ste ry: robyn, topaas en smarag. **11** In die tweede ry: turkoois, saffier en jaspis. **12** In die derde ry: *lesjem*-steen,* agaat en ametit. **13** In die vierde ry: chrisoliet, oniks en jade. Hulle is in goue monterings geset. **14** Die stene het ooreengestem met die name van die 12 seuns van Israel, en die name is gegraveer soos dit op 'n seël gegraveer sou word. Elke naam het een van die 12 stamme verteenwoordig.

15 Toe het hulle gedraaide kettinkies vir die borsstuk gemaak, soos toutjies van suiver goud.^a **16** En hulle het twee goue monterings en twee goue ringe gemaak en die twee ringe aan die twee hoeke van die borsstuk vasgesit. **17** Daarna het hulle die twee goue toutjies deur die twee ringe aan die hoeke van die borsstuk gestee. **18** Toe het hulle die twee punte van die twee toutjies deur die twee monterings gestee en dit aan die skouerstukke aan die voorkant van die efod vasgeheg. **19** Daarna het hulle twee goue ringe gemaak en hulle aan die twee hoeke van die borsstuk vasgesit, aan die agterkant van die borsstuk, wat aan die efod raak.^b **20** Toe het hulle nog twee goue ringe gemaak en hulle aan die voorkant van die efod vasgesit, onder die twee skouerstukke, naby die verbinding en bo die plek waar die geweeftde lyfband aan die efod vas was. **21** Uiteindelik het hulle die ringe van die borsstuk met 'n blou toutjie aan die ringe van die efod vasgebind, sodat die borsstuk op die efod in plek gehou sou word, bo die geweeftde

39:12 *'n Ongeïdentifiseerde edelsteen wat moontlik na amber, hiasint, opaal of toermalyn verwys.

lyfband, net soos Jehovah Moses beveel het.

22 Toe het hy die moulose oorkleed van die efod geheel en al van blou garing gemaak, die werk van 'n wewer.^a

23 Die opening van die moulose oorkleed was in die middel daarvan, soos die opening van 'n pantser.* Die opening het 'n rand rondom gehad sodat dit nie sou skeur nie. **24** Daarna het hulle aan die soom van die moulose oorkleed granaatjies gemaak van blou garing, pers wol en helderrooi materiaal, wat inmekaargedraai was. **25** En hulle het klokkies van suiwer goud gemaak en die klokkies tussen die granaatjies gesit, reg rondom die soom van die moulose oorkleed. **26** Hulle het die klokkies en die granaatjies afgewissel, 'n klokkie en dan 'n granaatjie, reg rondom die soom van die moulose oorkleed wat vir die diens gebruik is, net soos Jehovah Moses beveel het.

27 En hulle het vir Aäron en sy seuns die klere van fyn linne gemaak, wat deur 'n wewer gewef is,^b **28** sowel as die tulband^c van fyn linne, die hoofbedekkings^d van fyn linne wat as versierings gedien het, die kortbroeke*^e van fyn gedraaide linnedraad **29** en die lyfband van fyn gedraaide linnedraad, blou garing, pers wol en helderrooi materiaal, wat saamgewef is, net soos Jehovah Moses beveel het.

30 Uiteindelik het hulle die blink plaat, die heilige toewydingsteken,* van suiwer goud gemaak en 'n opskrif daarop ge-

39:23 *'n Beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is. **39:28** *Of "onderklere". **39:30** *Of "die heilige hoofband".

HFST. 39

a Eks 28:31-35

b Eks 28:39, 40

c Eks 28:4

d Eks 29:8, 9

e Eks 28:42

Tweede kol.

a Eks 28:36, 37

Le 8:9

b Eks 25:40

Heb 8:5

c Eks 36:8

d Eks 36:14

e Eks 36:18

f Eks 36:20

g Eks 36:31

h Eks 36:24

i Eks 36:19

j Eks 36:35

k Eks 37:1, 4

l Eks 37:6

m Eks 37:10, 16

n Eks 37:17, 23

o Eks 25:38

p Eks 35:27, 28

q Eks 37:25

r Eks 37:29

s Eks 30:34, 35

t Eks 36:37

u Eks 38:1, 4

v Eks 38:6

w Eks 38:30

x Eks 30:18

Eks 38:8

y Eks 38:9-11

z Eks 38:18

a Eks 38:20

b Eks 28:3

graveer, net soos daar op 'n seël gegraveer sou word: "Heiligheid behoort aan Jehovah."^a

31 Hulle het 'n toutjie van blou garing daaraan vasgebind sodat hulle dit op die tulband kon sit, net soos Jehovah Moses beveel het.

32 So is al die werk vir die tabernakel, die tent van samekoms, voltooi, en die Israëliete het alles gedoen wat Jehovah Moses beveel het.^b Hulle het net so gedoen.

33 Toe het hulle die tabernakel^c na Moses toe gebring, die tent^d en al sy toerusting: sy hakies,^e sy paneelrame,^f sy stawe^g en sy pilare en sy voetstukke;^h

34 sy bedekking van rooigekleurde ramsvelle,ⁱ sy bedekking van robbevelle, die gordyn* wat as die skerm sou dien;^j **35** die ark van die Getuïenes en sy pale^k en die deksel;^l **36** die tafel, al sy voorwerpe^m en die offerbrode; **37** die lampstaander van suiwer goud, sy lampe,ⁿ dit wil sê die ry lampe, sowel as al sy voorwerpe^o en die olie vir die lampe;^p **38** die goue altaar,^q die salfole,^r die geurige reukwerk,^s die skerm*^t vir die ingang van die tent; **39** die koperaltaar^u en sy koperrooster, sy pale,^v al sy voorwerpe,^w die kom en sy voetstuk;^x **40** die hangende gordyne van die voorhof, sy pilare en sy voetstukke,^y die skerm*^z vir die ingang van die voorhof, sy tentoue en sy tentpenne^a en al die voorwerpe vir die diens in verband met die tabernakel, die tent van samekoms; **41** die fyngewefde klere vir diens in die heiligdom, die heilige klere vir die priester Aäron^b en die klere van sy seuns vir hulle priesterlike diens.

39:34 *Of "voorhangsel". **39:38, 40** *Of "gordyn".

42 Die Israeliete het al die werk gedoen volgens alles wat Jehovah Moses beveel het.^a

43 Toe Moses al hulle werk ondersoek het, het hy gesien dat hulle dit gedoen het net soos Jehovah beveel het. En Moses het hulle gesê.

40 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **2** "Op die eerste dag van die eerste maand moet jy die tabernakel, die tent van samekoms, oprig.^b **3** Sit die ark van die Getuienis binne-in die tent^c en skerm die Ark af met die gordyn.^{*d} **4** Jy moet die tafel^e inbring en die dinge wat op die tafel moet wees, daarop rangskik, en jy moet die lampstaander^f inbring en sy lampe aansteek.^g **5** Dan moet jy die goue reukwerkaltaar^h voor die ark van die Getuienis sit en die skerm^{*} vir die ingang van die tabernakel op sy plek ophang.ⁱ

6 "Sit die brandofferaltaar^j voor die ingang van die tabernakel, die tent van samekoms, **7** en sit die kom tussen die tent van samekoms en die altaar, en gooi water daarin.^k **8** Dan moet jy die voorhof rondom oprig^l en die skerm^{*} vir die ingang van die voorhof ophang.^m **9** Daarna moet jy die salfolieⁿ neem en die tabernakel salf, sowel as alles wat daarin is,^o en jy moet dit en al sy voorwerpe heilig, sodat dit iets heiligs sal word. **10** Jy moet die brandofferaltaar en al sy voorwerpe salf en die altaar heilig, sodat dit 'n besonder heilige altaar sal word.^p **11** En salf die kom en sy voetstuk en heilig dit.

12 "Dan moet jy Aäron en sy seuns na die ingang van die tent

40:3, 21, 22 *Of "voorhangsel". **40:5, 8** *Of "gordyn".

HFST. 39

a Eks 35:10
Eks 36:1

HFST. 40

b Nu 7:1
c Eks 25:21
d Nu 4:5
Heb 9:3
e Eks 26:35
f Eks 25:31
Heb 9:2
g Eks 25:37
h Eks 30:1
i Eks 26:36
j Eks 38:1
k Eks 30:18
l Eks 27:9
m Eks 27:16
Eks 38:18
n Eks 30:23-25
o Le 8:10
Nu 7:1
p Eks 29:36, 37
Le 8:11

Tweede kol.

a Le 8:6
b Eks 29:5
Le 8:7
c Le 8:12
Ps 133:2
d Le 8:13
e Le 8:30
f Heb 7:11
g Eks 39:43
De 4:2
h Nu 7:1
Nu 9:15
i Eks 36:24
j Eks 26:15
k Eks 36:31
l Eks 26:7
m Eks 26:14
n Eks 31:18
o Eks 25:22
Eks 37:1
p Eks 37:4
1Kn 8:8
q Eks 37:6
1Kr 28:11
r Le 16:2
s Eks 36:35
Heb 10:19, 20
t Heb 9:3
u Eks 37:10
Heb 9:2
v Eks 25:30
Mt 12:4
w Eks 37:17

van samekoms laat kom en hulle met water was.^a **13** En jy moet die heilige klere vir Aäron aantrek^b en hom salf^c en hom heilig, en hy moet my as priester dien.

14 Daarna moet jy sy seuns laat nader kom en die klere vir hulle aantrek.^d **15** Jy moet hulle salf net soos jy hulle pa gesalf het,^e sodat hulle my as priesters kan dien, en hulle salwing sal vir hulle, in al hulle geslagte, as 'n teken van 'n permanente priesterskap dien.^f

16 Moses het gedoen volgens alles wat Jehovah hom beveel het.^g Hy het net so gedoen.

17 In die eerste maand, in die tweede jaar, op die eerste dag van die maand, is die tabernakel opgerig.^h **18** Toe Moses die tabernakel opgerig het, het hy die voetstukkeⁱ neergesit, die paneelrame opgerig,^j die stawe^k ingesit en die pilare opgerig. **19** Hy het die tent^l oor die tabernakel uitgesprei en die bedekking^m van die tent daar bo-oor gesit, net soos Jehovah Moses beveel het.

20 Daarna het hy die Getuienisⁿ geneem en dit in die Ark^o gesit en die pale^p van die Ark deur die ringe gestee en die deksel^q op die Ark^r gesit. **21** Hy het die Ark in die tabernakel ingebring en die gordyn^{*s} wat as die skerm sou dien, op sy plek opgehang en die ark van die Getuienis^t afgeskerm, net soos Jehovah Moses beveel het.

22 Daarna het hy die tafel^u in die tent van samekoms gesit, aan die noordekant van die tabernakel buite die gordyn,^{*} **23** en hy het die brode daarop gerangskik^v voor Jehovah, net soos Jehovah Moses beveel het.

24 Hy het die lampstaander^w in die tent van samekoms oorkant die tafel gesit, aan

die suidekant van die tabernakel. **25** Hy het die lampe^a aangesteek voor Jehovah, net soos Jehovah Moses beveel het.

26 Daarna het hy die goue altaar^b in die tent van samekoms voor die gordyn* gesit **27** om geurige reukwerk^c daarop te laat rook,^d net soos Jehovah Moses beveel het.

28 Toe het hy die skerm*^e vir die ingang van die tabernakel op sy plek opgehang.

29 Hy het die brandoffertaar^f by die ingang van die tabernakel, die tent van samekoms, gesit om die brandoffer^g en die graanoffer daarop te offer, net soos Jehovah Moses beveel het.

30 Toe het hy die kom tussen die tent van samekoms en die altaar gesit en water daarin gegooi om mee te was.^h **31** Moses en Aäron en sy seuns het hulle hande en hulle voete daar gewas. **32** Wanneer hulle ook al in die tent van samekoms ingegaan het of na die altaar gegaan het, het hulle hulle gewas,ⁱ

40:26 *Of "voorhangsel". **40:28, 33** *Of "gordyn".

HFST. 40

a Eks 25:37
Eks 37:23

b Eks 30:1
Eks 37:25

c Eks 30:34, 35

d Eks 30:7

e Eks 26:36
Eks 36:37

f Eks 38:1

g Eks 29:38

h Eks 30:18

i Eks 30:18, 19

Tweede kol.

a Eks 27:9
Eks 38:9

b Eks 38:18

c Nu 9:15
Op 15:8

d 2Kr 5:14

e Nu 10:11
Ne 9:19

f Nu 9:17, 22

g Eks 13:21
Nu 9:16
Ps 78:14

net soos Jehovah Moses beveel het.

33 Laastens het hy die voorhof^a om die tabernakel en die altaar opgerig en die skerm* vir die ingang van die voorhof^b opgehang.

So het Moses die werk voltooi. **34** Toe het die wolk die tent van samekoms bedek, en Jehovah se heerlikheid het die tabernakel gevul.^c **35** Moses kon nie in die tent van samekoms ingaan nie, want die wolk het daarvoor bly hang, en Jehovah se heerlikheid het die tabernakel gevul.^d

36 En gedurende die Israeliete se hele reis het hulle kamp opgebreek elke keer wanneer die wolk van die tabernakel af opgelig het.^e **37** Maar as die wolk nie opgelig het nie, het hulle nie kamp opgebreek tot die dag dat dit opgelig het nie.^f **38** Want gedurende hulle hele reis was Jehovah se wolk gedurende die dag oor die tabernakel en het 'n vuur gedurende die nag daarvoor gebly, voor die oë van die hele huis van Israel.^g

LEVITIKUS

OORSIG

- 1 Die brandoffer (1-17)
- 2 Die graanoffer (1-16)
- 3 Die vrede-offer (1-17)
Moenie vet of bloed eet nie (17)
- 4 Die sonde-offer (1-35)
- 5 Spesifieke sondes en offers daarvoor (1-6)
Rapportering van sondes van ander (1)

- Alternatiewe offers vir armes (7-13)
Skuldoffer vir onopsetlike sondes (14-19)
- 6 Meer oor skuldoffer (1-7)
Instruksies oor offers (8-30)
Die brandoffer (8-13)
Die graanoffer (14-23)
Die sonde-offer (24-30)
- 7 Instruksies oor offers (1-21)

- Die skuldoffer (1-10)
Die vrede-offer (11-21)
Verbied om vet of bloed te eet (22-27)
Priesters se deel (28-36)
Slotkommentaar oor offers (37, 38)
- 8 Inhuldiging van Aäronitiese priesterdom (1-36)
- 9 Aäron bring offers (1-24)
- 10 Vuur van Jehovah maak Nadab en Abihu dood (1-7)
Voorskrifte vir priesters oor kos en drank (8-20)
- 11 Rein en onrein diere (1-47)
- 12 Reiniging ná geboorte van kind (1-8)
- 13 Voorskrifte oor melaatsheid (1-46)
Melaatsheid op klere (47-59)
- 14 Reiniging van melaatsheid (1-32)
Reiniging van besmette huise (33-57)
- 15 Onrein afskeidings uit geslagsorgane (1-33)
- 16 Die Versoendag (1-34)
- 17 Die tabernakel, die plek vir offerandes (1-9)
Verbied om bloed te eet (10-14)
Voorskrifte oor diere wat dood gevind is (15, 16)
- 18 Onwettige seksuele omgang (1-30)
Moenie Kanaäniete navolg nie (3)
Met bloedfamilie (6-18)
Gedurende menstruasie (19)
Homoseksuele dade (22)
Met diere (23)
'Bly rein of land sal julle uitbraak' (24-30)
- 19 Verskeie wette oor heiligheid (1-37)
Oesoorblyfse vir armes en uitlanders (9, 10)
Neem dowes en blindes in ag (14)
Laster (16)
Moenie wrok koester nie (18)
Toorkuns en spiritisme verbied (26, 31)
Tatoeëermerke verbied (28)
Respek vir bejaardes (32)
Hoe om uitlanders te behandel (33, 34)
- 20 Aanbidding van Molog; spiritisme (1-6)
Wees heilig en respekteer ouers (7-9)
Doodstraf vir seksoortreders (10-21)
Wees heilig om in land te bly (22-26)
Doodstraf vir dié wat spiritisme beoefen (27)
- 21 Priesters moet heilig en rein wees (1-9)
Hoëpriester moet hom nie verontreinig nie (10-15)
Priesters moenie liggaamlike gebreke hê nie (16-24)
- 22 Priesterlike reinheid en eet van heilige dinge (1-16)
Slegs offers sonder gebreke aanvaarbaar (17-33)
- 23 Heilige dae en feeste (1-44)
Sabbat (3)
Pasga (4, 5)
Fees van Ongesuurde Brode (6-8)
Offer van eerstelinge (9-14)
Fees van Weke (15-21)
Oesoorblyfse vir armes en uitlanders (22)
Fees van Trompette (23-25)
Versoendag (26-32)
Huttefees (33-43)
- 24 Olie vir lampe in tabernakel (1-4)
Offerbrode (5-9)
Lasteraar van God se naam gestenig (10-23)
- 25 Die Sabbatsjaar (1-7)
Die Jubeljaar (8-22)
Eiendom teruggee (23-34)
Hoe om armes te behandel (35-38)
Wette oor slawerny (39-55)
- 26 Bly weg van afgodediens (1, 2)
Seëninge vir gehoorsaamheid (3-13)
Straf vir ongehoorsaamheid (14-46)
- 27 Terugkoop van gewyde dinge (1-27)
Mense (1-8)
Diere (9-13)
Huise (14, 15)
Grond (16-25)
Eersgeborenes (26, 27)
Dinge onvoorwaardelik aan Jehovah gewy (28, 29)
Terugkoop van tiendes (30-34)

1 En Jehovah het Moses ge-roep en vanuit die tent van samekoms^a met hom gepraat en gesê: **2** "Praat met die Israeliete en sê vir hulle: 'As enigeen van julle vir Jehovah 'n offer uit die vee aanbied, moet julle jul-le offer uit die beeste of uit die kleinvee aanbied.^b

3 "As sy offer 'n brandoffer uit die beeste is, moet hy 'n bul sonder gebrek aanbied.^c Hy moet dit by die ingang van die tent van samekoms vrywillig^d voor Jehovah aanbied. **4** Hy moet sy hand op die kop van die brandoffer sit, en dit sal aan-vaar word om vir hom versoen-ing te doen.

5 "Dan moet die jong bul voor Jehovah geslag word, en die seuns van Aäron, die pries-ters,^e moet die bloed aanbied^f en al die kante van die al-taar, wat by die ingang van die tent van samekoms is, met die bloed besprinkel. **6** Die vel van die dier wat as brandof-fer geoffer sal word, moet ver-wyder word en die offer moet in stukke gesny word.^g **7** Die seuns van Aäron, die priesters, moet vuur* op die altaar sit^h en hout op die vuur sit. **8** Die seuns van Aäron, die priesters, moet die stukke van die offerⁱ regsit met die kop en die nier-vet op die hout wat op die vuur bo-op die altaar is. **9** Sy inge-wande en sy pote moet met wa-ter gewas word, en die pries-ter moet dit alles op die altaar laat rook as 'n brandoffer. Dit is 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah.^j

10 "As die offer wat hy as 'n brandoffer bring, uit die klein-vee^k is, uit die jong skape of die bokke, moet hy 'n ram^l sonder

HFST. 1

a Eks 40:34

b Le 22:18-20

c De 15:19, 21
Mal 1:14

d 2Kor 9:7

e Heb 10:11

f Heb 9:13, 14

g Le 7:8

h Le 6:12

i 1Kn 18:23

j Ge 8:20, 21
Nu 15:2, 3

k Ge 4:4

l Le 12:6
Le 22:18-20

Tweede kol.

a Eks 29:16-18
Le 8:18-21
Le 9:12-14

b Le 5:7
Le 12:8
Lu 2:24

c Eks 27:3
Le 4:11, 12
Le 6:10

HFST. 2

d Le 9:17
Nu 15:2-4

e Eks 29:1-3
Le 6:14, 15
Nu 7:13

gebrek aanbied. **11** Dit moet aan die noordekant van die al-taar voor Jehovah geslag word, en die seuns van Aäron, die priesters, moet al die kan-te van die altaar met die bloed besprinkel.^a **12** Hy moet dit in stukke sny, en die priester moet dit saam met die kop en die niervet regsit op die hout wat op die vuur bo-op die altaar is. **13** Hy moet die ingewande en die pote met water was, en die priester moet dit alles aanbied en dit op die altaar laat rook. Dit is 'n brandoffer, 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Je-hovah.

14 "Maar as hy voëls as 'n brandoffer aan Jehovah bring, moet hy sy offer uit die tortel-duitwe of die jong duiwe aan-bied.^b **15** Die priester moet die voël by die altaar aanbied en die kop afknyp en die voël op die altaar laat rook, maar die bloed moet hy teen die kant van die al-taar laat uitloop. **16** Hy moet die krop en die vere verwyder en dit langs die altaar gooi, aan die oostekant, op die plek vir die as.*^c **17** Hy moet die voël by die vlerke oopskeur sonder om dit in twee te verdeel. Dan moet die priester die voël op die altaar laat rook op die hout wat op die vuur is. Dit is 'n brandof-fer, 'n vuuroffer met 'n aangena-me* geur vir Jehovah.

2 "En as iemand 'n graan-offer^d vir Jehovah aanbied, moet sy offer fynmeel wees, en hy moet olie daarop gooi en wie-rook daarop sit.^e **2** Dan moet hy dit na die seuns van Aäron, die priesters, bring, en die priester moet 'n hand vol van die fynmeel en olie neem, en al

1:16 *Of "vetterige as", d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deur-drenk is.

1:7 *Verwys moontlik na brandende kole. **1:9, 13, 17** *Of "kalmerende". Lett. "rustige".

die wierook, en hy moet dit as 'n simbool van die hele offer^a op die altaar laat rook, 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah. **3** Wat van die graanoffer oorbly, behoort aan Aäron en sy seuns^b as iets besonder heiligs^c van die vuuroffers wat aan Jehovah gebring word.

4 "As jy 'n graanoffer aanbied wat in die oond gebak is, moet dit van fynmeel wees, ongesuurde ringvormige brode wat met olie gemaak is of ongesuurde platbrode wat met olie gesmeer is.^d

5 "As jou offer 'n graanoffer is wat op die bakplaat gebak is,^e moet dit van ongesuurde fynmeel wees wat met olie gemeng is. **6** Dit moet in stukies gebreek word, en jy moet olie daarop gooi.^f Dit is 'n graanoffer.

7 "As jou offer 'n graanoffer is wat in 'n pan voorberei is, moet dit van fynmeel en olie gemaak word. **8** Jy moet die graanoffer wat hiervan gemaak is, na Jehovah toe bring. Dit moet vir die priester aangebied word, wat dit na die altaar moet bring. **9** En die priester moet 'n deel van die graanoffer neem as 'n simbool van die hele offer^g en dit op die altaar laat rook as 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah.^h **10** Wat van die graanoffer oorbly, behoort aan Aäron en sy seuns as iets besonder heiligs van die vuuroffersⁱ wat aan Jehovah gebring word.

11 "Geen graanoffer wat julle vir Jehovah aanbied, mag met suurdeeg gemaak word nie,^j want julle mag geen suurdeeg of heuning as 'n vuuroffer aan Jehovah laat rook nie.

2:2, 9, 12 *Of "kalmerende". Lett. "rustige".

HFST. 2

a Nu 5:25, 26

b Le 7:9, 10

c Le 10:12
Nu 18:9d Le 8:26, 28
Nu 6:13, 19

e Le 6:20, 21

f Nu 28:9

g Le 2:2
Le 5:11, 12h Eks 29:38-41
Nu 28:4-6

i Nu 18:9

j Le 6:14, 17

Tweede kol.

a Eks 23:19
Nu 15:20
2Kr 31:5
Spr 3:9

b Ese 43:23, 24

c Eks 23:16
Eks 34:22
Nu 28:26d Le 5:11, 12
Le 6:14, 15

HFST. 3

e Le 22:21
Nu 6:13, 14

f Le 7:29-31

g Eks 29:13
Le 7:23-25
1Kn 8:64

12 "Julle mag dit vir Jehovah aanbied as 'n offer van die eerste opbrengs,^{#a} maar dit mag nie na die altaar gebring word as 'n aangename* geur nie.

13 "Voeg sout by elke graanoffer wat jy bring. Jy mag nie die sout van die verbond van jou God weglaat wanneer jy jou graanoffer bring nie. Saam met al jou offers moet jy sout aanbied.^b

14 "As jy die graanoffer van die eerste opbrengs vir Jehovah aanbied, moet jy jong graan* wat oor die vuur gerooster is, grofgestampte jong graankorrels, as die graanoffer van jou eerste opbrengs^c aanbied. **15** Jy moet olie daarop gooi en wierook daarop sit. Dit is 'n graanoffer. **16** Die priester moet 'n deel van die growwe graankorrels en olie saam met al die wierook laat rook as 'n simbool van die hele offer,^d as 'n vuuroffer aan Jehovah.

3 "As sy offer 'n vrede-offer*^{ee} is en as hy dit uit die beeste aanbied, hetsy 'n bul of 'n koei, moet hy 'n dier sonder gebrek voor Jehovah aanbied. **2** Hy moet sy hand op die kop van sy offer sit, en dit moet by die ingang van die tent van samekoms geslag word. En Aäron se seuns, die priesters, moet al die kante van die altaar met die bloed besprinkel. **3** Hy moet 'n deel van die vrede-offer* as 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied:^f die vet^g wat die ingewande bedek, al die vet wat om die ingewande is **4** en die twee niere met die vet daaraan wat naby die lende is. Hy moet ook die vet* aan die lewer saam met die niere

2:12 [#]Of "die eersteling". Sien Woordelys. 2:14 *Of "groen are". 3:1, 3 *Of "gemeenskapsoffer". 3:4 *Of "aanhangel".

verwyder.^a **5** Aäron se seuns moet dit op die altaar laat rook bo-op die brandoffer wat op die hout op die vuur is.^b Dit is 'n vuuroffer met 'n aangename[#] geur vir Jehovah.^c

6 "As sy offer uit die klein-vee is as 'n vrede-offer* aan Jehovah, moet hy 'n ram of 'n ooi sonder gebrek aanbied.^d **7** As hy 'n jong skaapram as sy offer aanbied, moet hy dit voor Jehovah aanbied. **8** Hy moet sy hand op die kop van sy offer sit, en dit moet voor die tent van samekoms geslag word. Aäron se seuns moet al die kante van die altaar met die bloed besprinkel. **9** Hy moet die vet van die vrede-offer* as 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied.^e Hy moet die hele vetstert naby die rugstring verwyder, asook die vet wat die ingewande bedek, al die vet wat om die ingewande is **10** en die twee niere met die vet daaraan wat naby die lende is. Hy moet ook die vet* aan die lewer saam met die niere verwyder.^f **11** En die priester moet dit op die altaar as voedsel* laat rook, 'n vuuroffer aan Jehovah.^g

12 "As sy offer 'n bok is, moet hy dit voor Jehovah aanbied. **13** Hy moet sy hand op die kop daarvan sit, en dit moet voor die tent van samekoms geslag word, en Aäron se seuns moet al die kante van die altaar met die bloed besprinkel. **14** Die deel wat hy as sy vuuroffer vir Jehovah moet aanbied, is die vet wat die ingewande bedek, al die vet wat om die ingewande is,^h **15** asook die twee niere met die vet daaraan wat naby die lende is.

3:5, 16 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". 3:6, 9 *Of "gemeenskapoffer". 3:10, 15 *Of "aanhangsel". 3:11, 16 *Lett. "brood", d.w.s. as God se deel van die vrede-offer.

HFST. 3

a Le 7:1-4

b Le 6:12

c Le 4:29, 31

d Nu 6:13, 14

e Eks 29:22
Le 9:18-20
2Kr 7:7

f Le 4:8, 9
Le 9:10

g Le 4:31

h Le 4:24, 26

Tweede kol.

a Le 7:23
1Sa 2:15-17

b Ge 9:4
Le 17:10, 13
De 12:23
Han 15:20, 29

HFST. 4

c Le 5:17
Nu 15:27, 28

d Le 8:12
Le 21:10

e Nu 12:1, 11

f Heb 5:1-3
Heb 7:27

g Le 6:25

h Eks 29:10, 11

i Eks 30:30

j Le 8:15, 16

k Le 16:14, 19

l Eks 30:10

m Le 5:9

Hy moet ook die vet* aan die lewer saam met die niere verwyder. **16** Die priester moet dit op die altaar as voedsel* laat rook, 'n vuuroffer met 'n aangename[#] geur. Al die vet behoort aan Jehovah.^a

17 "Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag, in al julle woonplekke: Julle mag hoegenaam geen vet en geen bloed eet nie."^b

4 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israëliete: 'As iemand onopsetlik sondig^c deur enige van die dinge te doen wat Jehovah beveel het nie gedoen mag word nie, dan moet die volgende gebeur:

3 "As die gesalfde priester^d sondig^e en skuld oor die volk bring, moet hy vir die sonde wat hy gepleeg het, 'n jong bul sonder gebrek vir Jehovah as 'n sonde-offer aanbied.^f

4 Hy moet die bul na die ingang van die tent van samekoms^g voor Jehovah bring en sy hand op die bul se kop sit, en hy moet die bul voor Jehovah slag.^h **5** Dan moet die gesalfde priesterⁱ van die bul se bloed neem en dit in die tent van samekoms inbring. **6** Die priester moet sy vinger in die bloed steek^j en van die bloed sewe keer^k voor Jehovah spat, voor die gordyn* van die heiligdom. **7** Die priester moet ook van die bloed smeer aan die horings van die altaar van geurige reukwerk,^l wat voor Jehovah in die tent van samekoms is. Hy moet die res van die bul se bloed uitgooi aan die voet van die brandofferaltaar,^m wat by die ingang van die tent van samekoms is.

8 "Hy moet dan al die vet van die bul vir die sonde-offer verwyder, insluitende die vet

4:6 *Of "voorhangsel".

wat die ingewande bedek en die vet wat om die ingewande is, **9** en die twee niere met die vet daaraan wat naby die lende is. En hy moet die vet* aan die lewer saam met die niere verwyder,^a **10** net soos gedoen word met die bul vir die vrede-offer.*^b En die priester moet dit op die brandofferaltaar laat rook.

11 “Maar wat die vel van die bul betref en al sy vleis met sy kop, sy pote, sy ingewande en sy mis^c **12** – die res van die bul – hy moet dit buitekant die kamp laat neem, na 'n rein plek waar die as* weggegooi word, en hy moet dit op hout met vuur verbrand.^d Dit moet verbrand word waar die as weggegooi word.

13 “En as die hele gemeenskap van Israel skuldig word deur onopsetlik te sondig^e en die gemeente nie daarvan bewus was dat hulle iets gedoen het wat Jehovah hulle beveel het om nie te doen nie,^f **14** en die sonde dan bekend word, moet die gemeente 'n jong bul as 'n sonde-offer aanbid en dit voor die tent van samekoms bring. **15** Die ouermanne van die gemeenskap moet daar voor Jehovah hulle hande op die bul se kop sit, en die bul moet voor Jehovah geslag word.

16 “Dan moet die gesalfde priester van die bul se bloed in die tent van samekoms inbring. **17** Die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe keer voor Jehovah spat, voor die gordyn.*^g **18** Hy moet dan van die bloed aan die horings van die altaar^h smeer

4:9 *Of “aanhangel”. 4:10, 26 *Of “gemeenskapsoffer”. 4:12 *Of “vetterige as”, d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdrenk is. 4:17 *Of “voorhangsel”.

HFST. 4

a Le 9:8, 10

b Le 3:3, 4

c Eks 29:14

d Le 8:14, 17
Heb 13:11

e Jos 7:11

f Nu 15:22-24

g Eks 26:31
Eks 40:21
Heb 10:19, 20

h Eks 30:1, 6

Tweede kol.

a Eks 27:1
Eks 40:6

b Le 3:16

c Eks 32:30
Le 16:17
Nu 15:25
Ef 1:7
Heb 2:17

d Le 4:11, 12

e Le 16:15
1Jo 2:1, 2

f Eks 18:21

g Le 1:10, 11
Le 6:25
Le 7:2h Le 9:8, 9
Le 16:18
Heb 9:22

i Le 8:15

j Le 3:3-5

wat voor Jehovah in die tent van samekoms is. Hy moet die res van die bloed uitgooi aan die voet van die brandofferaltaar, wat by die ingang van die tent van samekoms^a is. **19** Hy moet al die vet verwyder en dit op die altaar laat rook.^b **20** Hy moet met die bul doen net soos hy met die ander bul vir die sonde-offer gedoen het. Dit is hoe hy dit moet doen, en die priester moet vir hulle versoening doen,^c en hulle sal vergeve word. **21** Hy moet die bul buitekant die kamp laat neem en moet dit verbrand, net soos hy die eerste bul verbrand het.^d Dit is 'n sonde-offer vir die gemeente.^e

22 “Wanneer 'n hoofman^f onopsetlik sondig deur een van al die dinge te doen wat Jehovah sy God beveel het nie gedoen mag word nie en hy skuldig word, **23** of as hy bewus word van 'n sonde wat hy teen die gebod gepleeg het, dan moet hy 'n jong bokram sonder gebrek as sy offer bring. **24** Hy moet sy hand op die kop van die bokram sit en dit slag op die plek waar die brandoffer voor Jehovah geslag word.^g Dit is 'n sonde-offer. **25** Die priester moet van die bloed van die sonde-offer met sy vinger neem en dit aan die horings^h van die brandofferaltaar smeer, en hy moet die res van die bloed aan die voet van die brandofferaltaar uitgooi.ⁱ **26** Hy moet al die vet daarvan op die altaar laat rook soos die vet van die vrede-offer;^j en die priester moet vir hom versoening doen vir sy sonde, en hy sal vergewe word.

27 “As enigeen van die volk van die land onopsetlik sondig en skuldig word deur een van die dinge te doen wat Jehovah

beveel het nie gedoen mag word nie,^a **28** of as hy bewus word van 'n sonde wat hy gepleeg het, dan moet hy 'n jong bok-ooi sonder gebrek as sy offer bring vir die sonde wat hy gepleeg het. **29** Hy moet sy hand op die kop van die sonde-offer sit en die sonde-offer op dieselfde plek as die brandoffer slag.^b **30** Die priester moet van die bloed daarvan met sy vinger neem en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, en hy moet die res van die bloed aan die voet van die altaar uitgooi.^c **31** Hy moet al die vet daarvan verwyder,^d net soos die vet van die vrede-offer* verwyder word,^e en die priester moet dit op die altaar laat rook as 'n aangename^f geur vir Jehovah. Die priester moet vir hom versoening doen, en hy sal verge-we word.

32 "Maar as hy 'n lam as sy sonde-offer bring, moet hy 'n oilam sonder gebrek bring. **33** Hy moet sy hand op die kop van die sonde-offer sit en dit as 'n sonde-offer slag op die plek waar die brandoffer geslag word.^f **34** Die priester moet van die bloed van die sonde-offer met sy vinger neem en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer,^g en hy moet die res van die bloed aan die voet van die altaar uitgooi. **35** Hy moet al die vet daarvan verwyder net soos die vet verwyder word van die jong skaapram vir die vrede-offer,* en die priester moet dit op die altaar laat rook bo-op Jehovah se vuuroffers.^h Die priester moet vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gepleeg het, en hy sal verge-we word.ⁱ

4:31, 35 *Of "gemeenskapoffer".
4:31 *Of "kalmerende". Lett. "rustige".

HFST. 4

- a Nu 15:27-29
- b Le 1:10, 11
Le 6:25
- c Le 4:25
Le 8:15
Le 9:8, 9
Heb 9:22
- d Le 3:16
- e Le 3:3, 4
- f Le 1:10, 11
- g Le 4:25
Le 16:18
- h Eks 29:13, 14
Le 3:3, 4
Le 6:12
Le 9:8, 10
- i Nu 15:28
1Jo 1:7
1Jo 2:1, 2

Tweede kol.

HFST. 5

- a Spr 29:24
- b Le 11:21-24
Le 17:15
De 14:8
- c Le 12:2
Le 13:3
Le 15:3
Nu 19:11
- d Mt 5:33
- e Nu 5:7
Ps 32:5
Spr 28:13
1Jo 1:9
- f Le 7:1
Le 14:2, 12
Le 19:20, 21
Nu 6:12
- g Lu 2:24
- h Le 12:7, 8
Le 14:21, 22
Le 15:13-15

5 "As iemand sondig omdat hy 'n openbare oproep gehoor het om getuie af te lê^a en hy 'n getuie is of iets gesien het of van iets uitgevind het en hy dit nie rapporteer nie, sal hy die gevolge dra van sy oortreding.

2 "Of as iemand aan enigiets onreins raak, of dit nou die dooie liggaam van 'n onrein wilde dier, 'n onrein mak dier of 'n onrein kruipende diertjie^b is, is hy onrein en het hy skuldige geword, selfs al beseft hy dit nie. **3** Of as iemand onwetend aan die onreinheid van 'n mens^c raak – enigiets onreins wat hom onrein kan maak – en hy daarvan uitvind, dan is hy skuldige.

4 "Of as iemand oorhaastig sweer om iets te doen – goet of sleg, ongeag wat dit mag wees – en hy nie daarvan bewus was nie, maar dan beseft dat hy oorhaastig gesweer het, is hy skuldige.^d

5 "As hy aan een van hierdie dinge skuldige word, moet hy sy sonde bely.^e **6** Hy moet ook sy skuldoffer aan Jehovah bring vir die sonde wat hy gepleeg het,^f naamlik 'n ooi uit die kleinvee – 'n oilam of 'n jong bokooi – as 'n sonde-offer. Die priester moet dan vir hom versoening doen vir sy sonde.

7 "Maar as hy nie 'n skaap kan bekostig nie, moet hy vir Jehovah twee tortelduiwe of twee jong duiwes^g bring as sy skuldoffer vir die sonde, een as 'n sonde-offer en een as 'n brandoffer.^h **8** Hy moet hul-le na die priester toe bring, wat

5:1 *Lett. "n stem van 'n vloek (eed) gehoor het". Waarskynlik 'n aankondiging in verband met 'n oortreding wat ingesluit het dat 'n vloek uitgespreek word oor die oortreder of oor die getuie wat nie getuig nie. 5:4 *Daar word blykbaar geïmpliseer dat hy nie sy gelofte nakom nie.

eers die een as die sonde-offer moet aanbied en sy kop aan die voorkant van sy nek moet afknyp, maar sonder om dit heeltemal af te trek. **9** Hy moet van die bloed van die sonde-offer teen die kant van die altaar spat, maar die res van die bloed moet hy aan die voet van die altaar laat uitloop.^a Dit is 'n sonde-offer. **10** Hy moet die ander een as 'n brandoffer voorberei volgens die gewone procedure.^b En die priester moet vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gepleeg het, en hy sal vergewe word.^c

11 "En as hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as 'n offer vir sy sonde 'n tiende van 'n efa*^d fynmeel as 'n sonde-offer bring. Hy moenie olie daarby voeg of wierook daarop sit nie, want dit is 'n sonde-offer. **12** Hy moet dit na die priester toe bring, en die priester moet 'n hand vol daarvan neem as 'n simbool van die hele offer en dit op die altaar laat rook boop Jehovah se vuuroffers. Dit is 'n sonde-offer. **13** Die priester moet vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gepleeg het, engeen van hierdie sondes, en hy sal vergewe word.^e Die res van die offer moet die priester s'n word,^f soos in die geval van die graanoffer."^g

14 Jehovah het verder vir Moses gesê: **15** "As iemand ontrou is deur onopsetlik teen die heilige dinge van Jehovah te sondig,^h moet hy aan Jehovah 'n skaapram sonder gebrek uit die kleinvee bring as sy skuldoffer.ⁱ Die waarde daarvan in sikkels* silwer word volgens die

HFST. 5

a Le 1:4, 5
Le 7:2
Heb 9:22

b Le 1:15-17

c Le 6:7

d Eks 16:36

e Le 4:26

f Le 2:10
Le 7:1, 6g Le 6:14-16
1Kor 9:13

h Le 10:17, 18

i Le 6:6

Tweede kol.

a Eks 30:13
Le 27:25b Le 6:4, 5
Le 22:14
Nu 5:6, 7

c Eks 32:30

d Le 6:7
Le 19:22

e Le 5:2

f Le 6:6

HFST. 6

g Nu 5:6

h Eks 22:7
Le 19:11i Eks 22:10, 11
Le 19:12
Ef 4:25
Kol 3:9

standaardsikkel van die heiligdom*^a bepaal. **16** En hy moet vergoeding betaal vir die sonde wat hy teen die heiligdom gepleeg het en ook 'n vyfde van die waarde daarvan byvoeg.^b Hy moet dit vir die priester gee, sodat die priester vir hom versoening kan doen^c met die ram vir die skuldoffer, en hy sal vergewe word.^d

17 "As iemand sondig deur enige van die dinge te doen wat Jehovah beveel het nie gedoen mag word nie, selfs al is hy nie daarvan bewus nie, is hy nog steeds skuldig en sal hy die gevolge dra van sy oortreding.^e **18** Hy moet 'n skaapram sonder gebrek uit die kleinvee, volgens die vasgestelde waarde, as 'n skuldoffer^f na die priester toe bring. Die priester moet dan vir hom versoening doen vir die onopsetlike fout wat hy gemaak het sonder om dit te besef, en hy sal vergewe word. **19** Dit is 'n skuldoffer. Hy het beslis skuldig geword omdat hy teen Jehovah gesondig het."

6 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "As iemand sondig en ontrou is aan Jehovah^g deur sy naaste te bedrieg in verband met iets wat aan hom toevertrou is^h of wat vir hom gegee is om te bewaar, of as hy sy naaste beroof of uitbuit, **3** of as hy iets vind wat weggeraak het en daaroor lieg, en as hy vals sweer oor enige soortgelyke sonde wat hy gepleeg het,ⁱ moet hy die volgende doen: **4** As hy gesondig het en skuldig is, moet hy teruggee wat hy gesteel het, wat hy van iemand afgepers het, wat hy deur bedrog geneem het, wat aan hom toevertrou was of wat weggeraak het en wat hy gevind

5:11 *n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanb. B14. 5:15 *n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanb. B14.

5:15 *Of "volgens die heilige sikkkel".

het, **5** of enigiets waaroor hy vals gesweer het. Hy moet die volle vergoeding betaal daarvoor,^a en hy moet 'n vyfde van die waarde daarvan byvoeg. Hy moet dit aan die eienaar gee op die dag dat sy skuld bewys word. **6** En hy moet as sy skuldoffer vir Jehovah 'n skaapram sonder gebrek uit die kleinvee, volgens die vasgestelde waarde, as 'n skuldoffer^b na die priester toe bring. **7** Die priester moet vir hom versoening doen voor Jehovah, en hy sal vergewe word vir enigiets wat hy gedoen het waardeur hy skuldig geword het."^c

8 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **9** "Beveel Aäron en sy seuns en sê: 'Dit is die wet van die brandoffer:^d Die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op die vuur op die altaar bly, en die vuur moet op die altaar aan die brand gehou word. **10** Die priester moet sy ampsdrag van linne^e aantrek, en hy moet die kortbroek* van linne^f aantrek om sy kaal liggaam^g te bedek. Dan moet hy die as^{ag} van die brandoffer wat deur die vuur op die altaar vetter is, verwyder en dit langs die altaar sit. **11** Daarna moet hy sy klerre uittrek^h en ander klerre aantrek en die as na 'n rein plek buite die kamp neem.ⁱ **12** Die vuur op die altaar moet aan die brand gehou word. Dit mag nie doodgaan nie. Die priester moet elke oggend hout daarop brand en die brandoffer daarop regsit, en hy moet die vet van die vrede-offers* daarvoor laat rook.^k **13** Die vuur op die altaar moet voortdurend aan die

6:10 *Of "onderklere". ^aLett. "vlees".
^aOf "vetterige as", d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdring is. **6:12** *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 6

a Le 5:15, 16

Nu 5:6, 7

b Le 5:15

Le 7:1

Jes 53:10

c Le 5:18

d Eks 29:38-42

Nu 28:3

Heb 10:11

e Eks 28:39

Le 16:32

Ese 44:17

f Eks 28:42

Eks 39:27, 28

g Eks 27:3

Le 1:16

h Le 16:23

Ese 44:19

i Le 4:3, 12

j Le 1:7

Ne 13:30, 31

k Le 3:5, 16

Tweede kol.

a Le 2:1

Nu 15:3, 4

b Le 2:2, 9

Le 5:11, 12

c Le 2:3

Le 5:13

Ese 44:29

1Kor 9:13

d Le 10:12

e Le 2:11

f Nu 18:9

g Le 2:3, 10

h Nu 18:10

i Le 24:8, 9

j Eks 30:30

Heb 5:1

k Eks 16:36

l Eks 29:1, 2

Eks 29:40, 41

Le 2:1

Le 9:17

Nu 28:4, 5

m Le 2:5

Le 7:9

1Kr 23:29

brand gehou word. Dit mag nie doodgaan nie.

14 "En dit is die wet van die graanoffer:^a Julle, die seuns van Aäron, moet dit voor Jehovah voor die altaar aanbied. **15** Een van hulle moet 'n hand vol neem van die fynmeel van die graanoffer en van die olie en al die wierook wat op die graanoffer is, en hy moet dit as 'n simbool van die hele offer op die altaar laat rook as 'n aangename* geur vir Jehovah.^b **16** Aäron en sy seuns moet eet wat daarvan oorbly.^c Dit moet as ongesuurde brood op 'n heilige plek geëet word. Hulle moet dit in die voorhof van die tent van samekoms eet.^d **17** Dit mag nie met suurdeeg gemaak word nie.^e Ek het dit as hulle deel uit my vuuroffers gegee.^f Dit is iets besonder heiligs,^g soos die sonde-offer en soos die skuldoffer. **18** Elke man onder die seuns van Aäron sal dit eet.^h Dit is in al julle geslagte 'n permanente voorsiening vir hulle uit Jehovah se vuuroffers.ⁱ Alles wat daaraan* raak, sal heilig word."

19 Jehovah het verder vir Moses gesê: **20** "Dit is die offer wat Aäron en sy seuns vir Jehovah moet aanbied op die dag waarop hy gesalf word:^j 'n tiende van 'n efa^{kk} fynmeel as 'n gereelde graanoffer,^l die helfte daarvan in die oggend en die helfte daarvan in die aand. **21** Dit moet met olie op 'n bakplaat gemaak word.^m Dit moet goed met olie gemeng wees wanneer jy dit bring, en dit moet aangebied word in stukies en as iets wat gebak is, as 'n graanoffer met 'n aangename* geur vir Jehovah. **22** Elke

6:15, 21 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". **6:18** *Of "aan die offers".
6:20 *'n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanb. B14.

nakomeling van Aäron wat hom as gesalfde priester opvolg,^a moet dit maak. Dit is 'n permanente wetsvoorskrif: Dit moet as 'n heeloffer vir Jehovah in rook opgaan. **23** Elke graanoffer van 'n priester moet 'n heeloffer wees. Dit mag nie geëet word nie.”

24 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **25** “Sê vir Aäron en sy seuns: ‘Dit is die wet van die sonde-offer:^b Op die plek waar die brandoffer geslag word,^c moet die sonde-offer ook voor Jehovah geslag word. Dit is iets wat besonder heilig is. **26** Die priester wat dit vir die sonde offer, moet dit eet.^d Dit moet op 'n heilige plek geëet word, in die voorhof van die tent van samekoms.°

27 “Alles wat aan die vleis daarvan raak, sal heilig word, en wanneer iemand van die bloed daarvan op sy kleed spat, moet jy die kleed waarop die bloed gespat is, op 'n heilige plek was. **28** Die klei-houer waarin dit gekook is, moet stukkend gebreek word. Maar as dit in 'n koperhouer gekook is, moet die houer geskuur en met water gewas word.

29 “Al die mans onder die priesters mag dit eet.^f Dit is iets besonder heiligs.^g **30** Maar geen sonde-offer mag geëet word as van die bloed in die tent van samekoms ingebring word om in die heiligdom versoening te doen^h nie. Dit moet met vuur verbrand word.

7 “Dit is die wet van die skuldoffer:ⁱ Dit is iets besonder heiligs. **2** Hulle moet die skuldoffer slag op die plek waar hulle die brandoffers slag, en al die kante van die altaar moet met die bloed/^j besprinkel word.^k **3** Hy moet al die vet/^l daarvan aanbied, inslui-

HFST. 6

- a De 10:6
- b Le 4:3
- c Le 1:3, 11
- d Le 10:17
Nu 18:9
Ese 44:29
- e Eks 27:9
Le 6:14, 16
Ese 42:13
- f Le 6:14, 18
Le 21:21, 22
Nu 18:10
- g Le 6:25
- h Le 4:5
Le 10:18
Le 16:27
Heb 13:11

HFST. 7

- i Le 5:6
Le 6:6
Le 14:2, 12
Le 19:20, 21
Nu 6:12
- j Heb 9:22
- k Le 3:1, 2
Le 5:9
- l Eks 29:13, 14
Le 3:9, 17
Le 4:8, 9
Le 8:18, 20

Tweede kol.

- a Le 3:3, 4
- b Le 3:14-16
- c Le 5:13
Le 6:14, 16
Nu 18:9
- d Le 2:3
- e Le 6:25, 26
Le 14:13
- f Eks 29:14
Le 1:6
- g Le 6:20, 21
1Kr 23:29
- h Le 2:3-7
Nu 18:9
1Kor 9:13
- i Le 14:21
- j Le 5:11
Nu 5:15
- k Le 3:1
Le 7:20
Le 22:21
1Kor 10:16
- l Le 22:29
2Kr 29:31

tende die vetstert, die vet wat die ingewande bedek **4** en die twee niere met die vet daaraan wat naby die lende is. Hy moet ook die vet* aan die lewer saam met die niere verwyder.^a **5** Die priester moet dit op die altaar laat rook as 'n vuuroffer aan Jehovah.^b Dit is 'n skuldoffer. **6** Elke man onder die priesters moet dit eet,^c en dit moet op 'n heilige plek geëet word. Dit is iets besonder heiligs.^d **7** Die wet in verband met die sonde-offer geld ook vir die skuldoffer. Dit behoort aan die priester wat daarmee versoening doen.^e

8 “Wanneer die priester die brandoffer namens iemand aanbied, sal die vel^f van die brandoffer wat na die priester gebring is, syne word.

9 “Elke graanoffer wat in die oond gebak word of wat in die pan of op die bakplaat voorberei word,^g behoort aan die priester wat dit aanbied. Dit sal syne word.^h **10** Maar elke graanoffer wat met olie gemeng isⁱ of wat droog is,^j sal vir al die seuns van Aäron wees. Elkeen sal 'n gelyke deel ontvang.

11 “En dit is die wet van die vrede-offer*^k wat iemand vir Jehovah mag aanbied: **12** As hy dit as 'n teken van sy dankbaarheid aanbied,^l moet hy die volgende saam met die dankoffer aanbied: ongesuurde ringvormige brode wat met olie gemaak is, ongesuurde platbrode wat met olie gesmeer is en ringvormige brode wat gemaak is met fynmeel wat goed met olie gemeng en met olie geknie is. **13** Hy moet sy offer saam met ringvormige gesuurde brode en die dankoffer van sy vrede-offers* aanbied. **14** Hy moet een van

7:4 *Of “aanhangel”. 7:11 *Of “gemeenskapsoffer”. 7:13 *Of “gemeenskapsoffers”.

elke soort brood* as 'n heilige deel vir Jehovah aanbied. Dit sal aan die priester behoort wat die bloed van die vrede-offers^{#a} sprinkel. **15** Die vleis van die dankoffer van sy vrede-offers[#] moet geëet word op die dag dat hy dit offer. Hy mag niks daarvan bêre tot die oggend toe nie.^b

16 "As die offerande wat hy as offer bring 'n gelofte-offer^c of 'n vrywillige offer^d is, moet dit op die dag geëet word waarop hy sy offerande aanbied, en wat daarvan oorbly, mag ook die volgende dag geëet word. **17** Maar wat op die derde dag van die vleis van die offerande oorbly, moet met vuur verbrand word.^e **18** As daar egter wel op die derde dag van die vleis van sy vrede-offer* geëet word, sal die persoon wat dit aanbied, nie God se goedkeuring verkry nie. Dit sal nie in sy guns tel nie. Dit is iets afstootliks, en die persoon wat daarvan eet, sal die gevolge dra van sy oortreding.^f **19** Die vleis wat aan enigiets onreins raak, mag nie geëet word nie. Dit moet met vuur verbrand word. Elkeen wat rein is, mag die rein vleis eet.

20 "Maar enigeen wat onrein is en wat eet van die vleis van die vrede-offer,* wat vir Jehovah is, moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word.^g **21** As iemand aan enigiets onreins raak, hetsy die onreinheid van 'n mens^h of 'n onrein dierⁱ of enige walglike onrein ding,^j en van die vleis van die vrede-offer* eet, wat vir Jehovah is, moet hy doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word."

7:14 *Lett. "een van elke offer". 7:14, 15, 32-34 [#]Of "gemeenskapsoffers". 7:18, 20, 21, 29 [#]Of "gemeenskapsoffer".

HFST. 7

a Le 6:25, 26
Le 10:14
Nu 18:8

b Le 22:29, 30

c Le 22:21

d Le 22:23
De 12:5, 6

e Le 19:5, 6

f Le 19:7, 8

g Nu 19:20

h Le 12:2, 4

i Le 11:21-24
De 14:7

j Le 11:10
De 14:10

Tweede kol.

a Le 3:16, 17
Le 4:8-10
1Sa 2:16, 17

b Eks 22:31
Le 17:15

c Ge 9:4
Le 3:17
Le 17:10
De 12:16
1Sa 14:33
Han 15:20, 29

d Le 17:14

e Le 3:1

f Le 3:3

g Eks 29:24
Le 8:25-27
Le 9:21

h Le 3:3-5

i Le 8:29

j Eks 29:27, 28
Le 10:14
Nu 6:20

k De 18:3

l Le 10:14

22 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **23** "Sê vir die Israeliete: 'Julle mag geen vet^a van 'n bul of 'n jong skaapram of 'n bok eet nie. **24** Die vet van 'n dier wat dood gevind is en die vet van 'n dier wat deur 'n ander dier doodgemaak is, mag vir enige ander doel gebruik word, maar julle mag dit nooit eet nie.^b **25** Want elkeen wat vet eet van 'n dier wat hy as 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied, moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word.

26 "Julle mag geen bloed eet^c in enige van julle woonplekke nie, nie die bloed van voëls of van diere nie. **27** Enigiemand wat enige bloed eet, moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word."^d

28 Jehovah het verder vir Moses gesê: **29** "Sê vir die Israeliete: 'Enigiemand wat sy vrede-offer* vir Jehovah aanbied, moet 'n deel van sy vrede-offer* as 'n offer vir Jehovah bring.^e **30** Hy moet die vet^f saam met die bors in sy eie hande as 'n vuuroffer vir Jehovah bring, en hy moet dit as 'n beweegoffer^g heen en weer voor Jehovah beweeg. **31** Die priester moet die vet op die altaar laat rook,^h maar die bors sal aan Aäron en sy seuns behoort.ⁱ

32 "Julle moet uit julle vrede-offers[#] die regterboud as 'n heilige deel vir die priester gee.^j **33** Die seun van Aäron wat die bloed van die vrede-offers[#] en die vet aanbied, sal die regterboud as sy deel kry.^k **34** Want ek neem die bors van die beweegoffer en die boud van die heilige deel van die Israeliete se vrede-offers,[#] en ek gee dit aan die priester Aäron en sy seuns as 'n permanente wetsvoorskrif vir die Israeliete.^l

35 “Dit is die deel uit Jehovah se vuuroffers wat opsygesit moet word vir die priesters, vir Aäron en sy seuns, van die dag af dat hy hulle laat nader kom het om Jehovah as priesters te dien.^a **36** Op die dag toe Jehovah hulle gesalf het,^b het hy die Israëliete beveel om hierdie deel aan hulle te gee. Dit is 'n permanente wetsbepaling vir hulle en hulle nageslag.”

37 Dit is die wet aangaande die brandoffer,^c die graanoffer,^d die sonde-offer,^e die skuldoffer,^f die inhuldigingsoffer^g en die vrede-offer,^{*h} **38** net soos Jehovah Moses op die berg Si'nai beveel hetⁱ op die dag toe hy die Israëliete beveel het om hulle offers vir Jehovah in die wil-dernis Si'nai aan te bied.^j

8 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** “Neem Aäron en sy seuns,^k die klere,^l die salfolie,^m die bul vir die sonde-offer, die twee skaapramme en die mandjie met ongesuurde brodeⁿ **3** en laat die hele gemeenskap van Israel by die ingang van die tent van samekoms bymekaarkom.”

4 Toe het Moses gedoen net soos Jehovah hom beveel het, en die gemeenskap van Israel het by die ingang van die tent van samekoms bymekaargekom. **5** Moses het toe vir hulle gesê: “Dit is wat Jehovah ons beveel het om te doen.” **6** Toe het Moses Aäron en sy seuns laat nader kom en hulle met water gewas.^o **7** Daarna het hy vir Aäron die kleed^p aangetrek, die lyfband^q om sy middel gesit, vir hom die moulose oorkleed^r en die efod^s aangetrek en dit met die geweeftde lyfband^t van die efod styf om hom vasgebind. **8** Daarna het hy vir

7:37 *Of “gemeenskapsoffer”.

HFST. 7

a Eks 28:1
Eks 29:4, 7
Eks 40:13

b Eks 40:15
Le 8:12

c Le 6:9

d Le 2:1
Le 6:14

e Le 6:25

f Le 5:6
Le 7:1

g Eks 29:1
Le 6:20

h Le 3:1

i Eks 34:27

j Le 1:2

HFST. 8

k Eks 28:1

l Eks 28:4
Eks 39:33, 41

m Eks 30:23-25
Eks 40:15

n Eks 29:1, 2

o Eks 29:4
Eks 40:12

p Eks 28:39

q Eks 39:27, 29

r Eks 39:22

s Eks 28:6
Eks 39:2

t Eks 28:8
Eks 29:5
Eks 39:20

Tweede kol.

a Eks 28:15
Eks 39:9

b Eks 28:30

c Eks 29:6
Eks 39:27, 28

d Eks 28:36
Eks 39:30

e Eks 30:26-28

f Eks 29:4, 7
Eks 30:30
Eks 40:13
Le 21:10
Ps 133:2

g Eks 28:40
Eks 29:8, 9

h Eks 29:10-14
Le 4:3, 4
Le 16:6

i Heb 9:21, 22

j Le 4:8, 9

hom die borsstuk^a aangesit en die Urim en die Tummim^b in die borsstuk gesit. **9** Toe het hy die tulband^c op sy kop gesit en die blink goue plaat, die heilige toewydingsteken,^{*d} aan die voorkant van die tulband gesit, net soos Jehovah Moses beveel het.

10 Moses het toe die salfolie geneem en die tabernakel en alles wat daarin was,^e gesalf en dit geheilig. **11** Daarna het hy van die salfolie sewe keer op die altaar gespat, en hy het die altaar en al sy voorwerpe en die kom en die voetstuk gesalf sodat hy dit kon heilig. **12** Laastens het hy van die salfolie op Aäron se kop uitgegooi en hom gesalf om hom te heilig.^f

13 Moses het toe Aäron se seuns laat nader kom en vir hulle die klere aangetrek en lyfbande om hulle gesit en hoofbedekings op hulle gesit,^{*g} net soos Jehovah Moses beveel het.

14 Toe het hy die bul vir die sonde-offer gebring, en Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die bul gesit.^h **15** Moses het dit geslag en van die bloedⁱ met sy vinger aan elkeen van die horings van die altaar gesmeer en die altaar van sonde gereinig, maar die res van die bloed het hy aan die voet van die altaar uitgegooi, sodat hy dit kon heilig om daarop versoening te doen. **16** Daarna het hy al die vet wat aan die ingewande was, die vet* aan die lewer en die twee niere en hulle vet geneem, en Moses het dit op die altaar laat rook.^j **17** Toe het hy die res van die bul, sy vel, sy vleis en sy mis buite die kamp met vuur laat

8:9 *Of “die heilige hoofband”. 8:13 *Of “om hulle kop gedraai”. 8:16 *Of “aanhangel”.

verbrand,^a net soos Jehovah Moses beveel het.

18 Hy het toe die skaapram vir die brandoffer nader gebring, en Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gesit.^b **19** Daarna het Moses dit geslag en al die kante van die altaar met die bloed besprinkel. **20** Hy het die ram in stukke opgesny, en Moses het die kop en die stukke en die niervet laat rook. **21** Hy het die ingewande en die pote met water gewas, en Moses het die hele skaapram op die altaar laat rook. Dit was 'n brandoffer met 'n aangename* geur. Dit was 'n vuuroffer aan Jehovah, net soos Jehovah Moses beveel het.

22 Toe het hy die tweede skaapram, die ram vir die inhuldiging,^c gebring, en Aäron en sy seuns het hulle hande op die ram se kop gesit.^d **23** Moses het dit geslag en van die bloed geneem en dit aan die onderste deel van Aäron se regteroor gesmeer en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet. **24** Toe het Moses Aäron se seuns laat nader kom en van die bloed aan die onderste deel van hulle regteroor gesmeer en aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet, maar Moses het al die kante van die altaar met die res van die bloed besprinkel.^e

25 Toe het hy die vet geneem, die vetstert, al die vet wat aan die ingewande was, die vet* aan die lewer, die twee niere en hulle vet en die regterboud.^f **26** Hy het een onge-suurde ringvormige brood,^g een ringvormige brood wat met olie gemaak is^h en een platbrood geneem uit die mandjie met on-

8:21, 28 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". 8:25 *Of "aanhangsel".

HFST. 8

a Le 4:11, 12
Le 16:27

b Eks 29:15-18
Le 1:4

c Le 8:33

d Eks 29:19, 20

e Eks 24:6

f Eks 29:22-25

g Le 2:4

h Eks 29:1, 2

Tweede kol.

a Le 7:29, 30

b Eks 29:26, 27
Le 7:34, 35

c Eks 30:30

d Nu 3:2, 3

e Eks 29:21

f Le 6:28

g Eks 29:31, 32
1Kor 9:13

h Eks 29:34

i Eks 29:30, 35
Nu 3:2, 3

j Eks 29:36
Le 17:11

gesuurde brood wat voor Jehovah was. Hy het dit toe op die stukke vet en die regterboud gesit. **27** Daarna het hy dit alles op die palms van Aäron en die palms van sy seuns gesit en dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah begin beweeg. **28** Toe het Moses dit uit hulle hande geneem en dit op die altaar bo-op die brandoffer laat rook. Dit was 'n inhuldigingsoffer met 'n aangename* geur. Dit was 'n vuuroffer aan Jehovah.

29 Moses het toe die bors geneem en dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg.^a Hierdie deel van die ram vir die inhuldiging het Moses s'n geword, net soos Jehovah Moses beveel het.^b

30 Moses het van die selfolie^c en van die bloed op die altaar geneem en dit op Aäron en sy klere gespat, sowel as op sy seuns en die klere van sy seuns wat saam met hom was. So het hy Aäron en sy klere en sy seuns^d en hulle klere geheilig.^e

31 Toe het Moses vir Aäron en sy seuns gesê: "Kook^f die vleis by die ingang van die tent van samekoms, en julle moet dit daar eet met die brood wat in die mandjie vir die inhuldiging is, net soos ek beveel is: 'Aäron en sy seuns moet dit eet.'^g **32** Wat van die vleis en die brood oorbly, moet julle met vuur verbrand.^h **33** Julle mag sewe dae lank nie by die ingang van die tent van samekoms uitgaan nie, totdat die dae van julle inhuldiging verby is, want dit sal sewe dae neem om julle as priesters in te huldig.ⁱ **34** Dit was Jehovah wat ons beveel het om te doen wat ons vandag gedoen het, sodat daar versoening vir julle gedoen kan word.^j

8:33 *Lett. "om julle hand te vul".

35 Julle moet sewe dae lank dag en nag by die ingang van die tent van samekoms bly^a en julle verpligting teenoor Jehovah nakom,^b sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel.”

36 En Aäron en sy seuns het alles gedoen wat Jehovah deur middel van Moses beveel het.

9 Op die agtste dag^c het Moses Aäron en sy seuns en die ouermanne van Israel geroep. **2** Hy het vir Aäron gesê: “Neem vir jou ’n jong kalf as ’n sonde-offer^d en ’n skaapram as ’n brandoffer, diere sonder gebrek, en bied hulle voor Jehovah aan. **3** Maar jy moet vir die Israeliete sê: ‘Neem ’n bokram as ’n sonde-offer en ’n kalf en ’n jong skaapram, elk ’n jaar oud, sonder gebrek, as ’n brandoffer, **4** en ’n bul en ’n skaapram as vrede-offers^e om voor Jehovah te offer, en ’n graanoffer^f wat met olie gemeng is, want vandag sal Jehovah aan julle verskyn.’”^g

5 Hulle het dus alles wat Moses beveel het voor die tent van samekoms gebring. Toe het die hele gemeenskap van Israel nader gekom en voor Jehovah gaan staan. **6** En Moses het gesê: “Dit is wat Jehovah julle beveel het om te doen, sodat die heerlijkheid van Jehovah aan julle kan verskyn.”^h **7** Toe het Moses vir Aäron gesê: “Gaan na die altaar en bied jou sonde-offerⁱ en jou brandoffer aan, en doen versoening vir jouⁱ en vir jou huis. Bied die offer van die volk aan^k en doen versoening vir hulle,^l net soos Jehovah beveel het.”

8 Aäron het onmiddellik na die altaar gegaan en die kalf geslag wat ’n sonde-offer vir homself was.^m **9** Toe het Aäron se seuns die bloedⁿ vir hom aan-

9:4 *Of “gemeenskapsoffers”.

HFST. 8

a Eks 29:37

b Nu 1:53

HFST. 9

c Le 8:35

d Le 4:3

e Le 3:1

f Le 2:4
Le 6:14

g Eks 29:43

h Eks 16:10
Eks 24:16
Eks 40:34

i Le 4:3

j Heb 7:27

k Heb 5:1-3

l Le 16:33

m Le 4:3, 4

n Heb 9:22

Tweede kol.

a Le 4:7
Le 8:14, 15

b Le 4:8-10

c Le 4:11, 12
Heb 13:11

d Le 1:5

e Le 1:3
Le 6:9

f Le 2:1, 11, 13

g Eks 29:39

h Le 3:1, 2

i Le 3:3, 4

j Le 3:9, 10

gebied, en hy het sy vinger in die bloed gesteeek en dit aan die horings van die altaar gesmeer, en hy het die res van die bloed aan die voet van die altaar uitgegooi.^a **10** Hy het die vet en die niere en die vet* aan die lewer van die sonde-offer op die altaar laat rook, net soos Jehovah Moses beveel het.^b **11** En hy het die vleis en die vel buite die kamp met vuur verbrand.^c

12 Toe het hy die brandoffer geslag, en Aäron se seuns het vir hom die bloed aangegee, en hy het al die kante van die altaar daarmee besprinkel.^d **13** Hulle het vir hom die stukke van die brandoffer saam met die kop aangegee, en hy het dit op die altaar laat rook. **14** Verder het hy die ingewande en die pote gewas en dit bo-op die brandoffer op die altaar laat rook.

15 Hy het toe die offer van die volk aangebied en die bok vir die sonde-offer geneem wat vir die volk was en dit geslag en daarmee ’n sonde-offer gebring soos met die eerste offer. **16** En hy het die brandoffer gebring en dit volgens die gewone prosedure aangebied.^e

17 Toe het hy die graanoffer aangebied^f deur ’n hand vol daarvan te neem en dit op die altaar te laat rook, bo en behalwe die oegendbrandoffer.^g

18 Daarna het hy die bul en die skaapram geslag wat die vrede-offer* vir die volk was. Toe het Aäron se seuns vir hom die bloed aangegee, en hy het al die kante van die altaar daarmee besprinkel.^h **19** Wat die stukke vet van die bul,ⁱ die vetstert van die skaapram, die vet om die ingewande, die niere en die vet* aan die lewer^j betref, **20** hulle het al hierdie stukke

9:10, 19 *Of “aanhangsel”. 9:18 *Of “gemeenskapsoffer”.

vet op die borsstukke gesit, en daarna het hy die stukke vet op die altaar laat rook.^a **21** Maar die borsstukke en die regterboud het Aäron as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg, net soos Moses beveel het.^b

22 Toe het Aäron sy hande na die volk toe uitgestrek en hulle geseën^c en van die altaar afgekem nadat hy die sondeoffer en die brandoffer en die vredeoffers* gebring het. **23** Uiteindelik het Moses en Aäron in die tent van samekoms ingegaan, en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën.^d

Toe het Jehovah se heerlikheid aan die hele volk verskyn,^e **24** en vuur het van Jehovah af gekom^f en die brandoffer en die stukke vet op die altaar begin verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle begin uitroep en met hulle gesigte na die grond toe neergebuig.^g

10 Later het Aäron se seuns Nadab en Abi'hu^h elkeen sy vuurbak geneem en vuur* daarin gesit en reukwerkⁱ daarop geplaas. Toe het hulle onwetige vuur voor Jehovah begin offer,^j wat hy hulle nie beveel het om te doen nie. **2** Hierop het 'n vuur van Jehovah af gekom en hulle verteer,^k en hulle het voor Jehovah gesterf.^l **3** Toe het Moses vir Aäron gesê: "Dit is wat Jehovah gesê het: 'Ek sal geheilig word onder dié wat naby my is,^m en ek sal verheerlik word voor die hele volk.'" En Aäron het stilgebly.

4 Toe het Moses Mi'sael en El'safan, die seuns van Us'siël,ⁿ Aäron se oom, geroep en vir hulle gesê: "Kom hier, dra julle broers weg voor die heilig-

HFST. 9

- a Le 7:29-31
- b Eks 29:27, 28
- c Nu 6:23-27
De 10:8
De 21:5
1Kr 23:13
- d 2Sa 6:18
2Kr 6:3
- e Le 9:6
- f Rig 6:21
1Kr 21:26
- g 1Kn 18:38, 39
2Kr 7:1, 3

HFST. 10

- h Eks 6:23
1Kr 24:2
- i Eks 30:34, 35
Le 16:12
- j Eks 30:9
Le 10:9
Le 16:1, 2
- k Nu 16:35
- l Nu 26:61
- m Eks 19:22
- n Eks 6:18

Tweede kol.

- a Le 21:10
- b Eks 28:41
Le 8:12
Le 21:11, 12
- c Ese 44:21
- d Ese 44:23
- e De 33:10
2Kr 17:8, 9
Ne 8:7, 8
Mal 2:7
- f Le 6:14, 16
- g Le 21:22
- h Le 6:26
Nu 18:10

dom na 'n plek buite die kamp."**5** Hulle het toe nader gekom en die manne in hulle priesterlike klere na 'n plek buite die kamp weggedra, net soos Moses vir hulle gesê het.

6 Daarna het Moses vir Aäron en vir sy ander seuns, Elea'sar en I'tamar, gesê: "Julle mag nie julle kop onversorg laat nie of julle klere skeur nie,^a sodat julle nie sterf nie en sodat God nie vir die hele gemeenskap van Israel kwaad word nie. Julle broers van die hele huis van Israel sal huil oor dié wat Jehovah met die vuur doodgemaak het. **7** Julle mag nie by die ingang van die tent van samekoms uitgaan nie, anders sal julle sterf, want Jehovah se salfolie is op julle."^b Hulle het toe gedoen wat Moses gesê het.

8 Toe het Jehovah vir Aäron gesê: **9** "Jy en jou seuns moenie wyn of ander alkohol drink wanneer julle in die tent van samekoms ingaan nie,^c sodat julle nie sterf nie. Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag. **10** Dit is om 'n onderskeid te maak tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat rein en wat onrein is,^d **11** en om die Israeliete al die wetsvoorskrifte te leer wat Jehovah deur middel van Moses aan hulle bekend gemaak het."^e

12 Toe het Moses met Aäron gepraat en met Elea'sar en I'tamar, sy seuns wat oorgebly het: "Neem wat van die graanoffer van Jehovah se vuuroffers oorgebly het en eet dit as onge-suurde brood naby die altaar,^f want dit is iets besonder heiligs.^g **13** Julle moet dit op 'n heilige plek eet,^h want dit is 'n voorsiening vir jou en vir jou seuns uit Jehovah se vuuroffers, want dit is wat ek beveel is. **14** Julle moet ook die bors van

9:22 *Of "gemeenskapsoffers". 10:1

*Verwys moontlik na brandende kole.

die beweegoffer en die boud van die heilige deel^a op 'n rein plek eet, jy en jou seuns en jou dogters saam met jou,^b want hierdie dinge is gegee as 'n voorsiening vir jou en vir jou seuns uit die vrede-offers* van die Israeliete. **15** Hulle moet die boud van die heilige deel en die bors van die beweegoffer saam met die vuur-offers van vet bring om die beweegoffer heen en weer voor Jehovah te beweeg. En dit sal 'n permanente voorsiening vir jou en jou seuns wees,^c net soos Jehovah beveel het.”

16 Moses het oral gesoek na die bok vir die sonde-offer,^d en hy het uitgevind dat dit verbrand is. Daarom het hy kwaad geword vir Elea'sar en I'tamar, Aäron se seuns wat oorgebly het, en hy het gesê: **17** “Hoe-kom het julle nie die sonde-offer op die heilige plek geëet nie,^e aangesien dit iets besonder heiligs is en hy dit aan julle gegee het sodat julle die oortreding van die gemeenskap van Israel kan wegneem en vir hulle versoening kan doen voor Jehovah? **18** Kyk! Die bloed daarvan is nie in die heiligdom ingebring nie.^f Julle moes dit vir seker in die heiligdom geëet het, net soos ek beveel is.” **19** Aäron het Moses geantwoord: “Kyk! Vandag het hulle hulle sonde-offer en hulle brandoffer voor Jehovah aangebied,^g en tog het hierdie dinge met my gebeur. Sou dit Jehovah se goedkeuring gehad het as ek vandag die sonde-offer geëet het?” **20** Toe Moses dit hoor, was hy tevrede daarmee.

11 Toe het Jehovah vir Moses en Aäron gesê: **2** “Sê vir die Israeliete: ‘Dit is die diere van die aarde* wat jul-

10:14 *Of “gemeenskapsoffers”. **11:2** *Of “die landdiere”.

HFST. 10

a Eks 29:26-28
Le 7:31, 34
Le 9:21

b Le 22:13
Nu 18:11

c 1Kor 9:13

d Le 9:3, 15

e Le 6:25, 26
Ese 44:29

f Le 6:29, 30

g Le 9:8, 12

Tweede kol.

HFST. 11

a De 14:4-6
Ese 4:14

b De 14:7, 8

c Spr 30:26

d Jes 65:4
Jes 66:3, 17

e Han 10:14

f De 14:9, 10

g De 14:3

h Job 39:27, 30

i De 14:12-19

le mag eet:^a **3** Elke dier waarvan die hoewe heeltemal gesplete is en wat herkou, mag geëet word.

4 “Maar die volgende diere wat herkou of wat gesplete hoewe het, mag julle nie eet nie: die kameel, want dit herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Dit is vir julle onrein.^b

5 Ook die klipdassie,^c want dit herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Dit is vir julle onrein. **6** Ook die haas, want dit herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Dit is vir julle onrein. **7** Ook die vark,^d want dit het hoewe wat heeltemal gesplete is, maar dit herkou nie. Dit is vir julle onrein. **8** Julle mag nie van hulle vleis eet of aan hulle dooie liggaam raak nie. Hulle is vir julle onrein.^e

9 “Van alles wat in die waters is, mag julle die volgende eet: Enigiets in die waters wat vinne en skubbe het, of dit nou in die see of in die riviere is – dit mag julle eet.^f **10** Maar van al die diere waarvan die waters wemel en van elke ander dier wat in die waters is, is enigiets in die see en in die riviere wat geen vinne en skubbe het nie, vir julle iets walgliks. **11** Ja, hulle moet vir julle walglik wees, en julle mag nie van hulle vleis eet nie,^g en julle moet hulle dooie liggaam verafsku. **12** Alles in die waters wat geen vinne en skubbe het nie, is vir julle iets walgliks.

13 “Julle moet die volgende vlieënde diere verafsku, en hulle mag nie geëet word nie, want hulle is walglik: die arend,^h die visvalk, die swartaasvoël,ⁱ **14** die rooiwou en elke soort swartwou, **15** elke soort kraai, **16** die volstruis, die uil, die meeu, elke soort valk, **17** die steenuil, die kormorant, die langooruil, **18** die

swaan, die pelikaan, die aasvoël, **19** die ooievaar, elke soort reier, die hoep-hoep en die vlermuis. **20** Elke insek* met vlerke wat op vier pote loop, is vir julle iets walgliks.

21 “Van al die insekte* met vlerke wat op vier pote loop, mag julle slegs dié eet wat ’n stel bene het waarmee hulle kan spring.” **22** Van hulle mag julle die volgende eet: verskeie soorte treksprinkane, ander eetbare sprinkane,^a krieke en veldsprinkane. **23** Alle ander insekte* met vlerke en vier pote is vir julle iets walgliks. **24** Deur hulle sal julle onrein maak. Elkeen wat aan so ’n insek* raak wat dood is, sal tot die aand toe onrein wees.^b **25** Enigiemand wat so ’n insek* optel wat dood is, moet sy klerre was,^c en hy sal tot die aand toe onrein wees.

26 “Enige dier met gesplete hoewe maar waarvan die hoewe nie heeltemal gesplete is nie en wat nie herkou nie, is vir julle onrein. Elkeen wat aan hulle raak, sal onrein wees.^d **27** Elke vierpotige dier wat op kussingpote loop, is vir julle onrein. Elkeen wat aan hulle dooie liggaam raak, sal tot die aand toe onrein wees. **28** Die persoon wat hulle dooie liggaam dra, moet sy klere was,^e en hy sal tot die aand toe onrein wees.^f Hulle is vir julle onrein.

29 “Die volgende kruipende diertjies van die aarde is vir julle onrein: die molrot, die muis,^g elke soort akkedis, **30** die geitjie, die groot akkedis, die watersalmander, die sandakkedis en die ver-

11:20, 24, 25 *Of “diertjie”. **11:21, 23** *Of “diertjies”. **11:21** [#] Lett. “met getelle bene wat bo hulle pote is en waarmee hulle op die grond kan spring”.

HFST. 11
a Mt 3:4
Mr 1:6

b Le 14:46, 47
Le 15:8
Le 17:15
Le 22:4-6

c Le 14:2, 8
Le 15:2, 5
Nu 19:10

d De 14:7, 8

e Le 17:15, 16

f Le 5:2

g Jes 66:17

Tweede kol.

a De 14:19

b Le 11:24
Le 22:4, 5

c Le 15:12

d Le 11:23, 24
Nu 19:11, 16

e Le 17:15
Le 22:3, 8
De 14:21
Ese 4:14
Ese 44:31

kleurmanneltjie. **31** Hierdie kruipende diertjies is vir julle onrein.^a Elkeen wat aan hulle dooie liggaam raak, sal tot die aand toe onrein wees.^b

32 “En enigiets waarop hulle val wanneer hulle doodgaan, sal onrein wees, of dit nou ’n houtvoorwerp, ’n kleed, ’n vel of ’n stuk saklinne is. Enigiets wat gebruik word, moet in water gedompel word, en dit sal tot die aand toe onrein wees. Daarna sal dit rein wees. **33** As hulle in ’n kleihouer val, moet julle dit stukkend breek, en enigiets wat daarin was, sal onrein wees.^c **34** Enige soort voedsel wat in kontak kom met water uit so ’n houer, sal onrein wees, en enige drinkbare vloeistof in so ’n houer sal onrein wees. **35** Enigiets waarop hulle dooie liggaam val, sal onrein wees. Of dit nou ’n oond of ’n klein stoof is, dit moet stukkend gebreek word. Hulle is onrein, en hulle sal vir julle onrein bly. **36** Maar ’n fontein en ’n put waar water opevang word, sal rein bly, maar elkeen wat aan hulle dooie liggaam raak, sal onrein wees. **37** As hulle dooie liggaam op ’n plantsaad val wat gesaai moet word, is dit rein. **38** Maar as daar water op ’n saad gegooi word en ’n deel van hulle dooie liggaam daarop val, is die saad vir julle onrein.

39 “En as enige dier wat vir julle as voedsel dien, doodgaan, sal enigiemand wat aan die dooie liggaam raak, tot die aand toe onrein wees.^d **40** Enigiemand wat van die dooie liggaam eet, moet sy klere was, en hy sal tot die aand toe onrein wees.^e Enigiemand wat die dooie liggaam wegdra, moet sy klere was, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **41** Elke kruipende diertjie van die aarde

is iets walgliks.^a Dit mag nie geëet word nie. **42** Julle mag geen dier wat op sy maag seil, geen diertjie wat op vier pote loop of geen kruipende diertjie van die aarde met 'n groot aantal pote eet nie, want hulle is iets walgliks.^b **43** Moet julle nie walglik maak deur enige van die diere wat op die aarde wemel nie, en moet julle nie onrein maak en deur middel van hulle onrein word nie.^c **44** Want ek is Jehovah julle God,^d en julle moet julle heilig en julle moet heilig word,^e want ek is heilig.^f Daarom mag julle julle nie onrein maak deur enige dier wat op die aarde kruip nie. **45** Want ek is Jehovah, wat julle uit Egipte uitgelei het sodat ek aan julle kan bewys dat ek God is,^g en julle moet heilig wees,^h want ek is heilig.ⁱ

46 "Dit is die wet oor die diere, die vlieënde diere, elke dier wat deur die waters beweeg en aangaande elke dier wat op die aarde wemel, **47** om 'n onderskeid te maak tussen wat onrein en wat rein is en tussen die diere wat geëet mag word en dié wat nie geëet mag word nie."^j

12 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israeliete: 'As 'n vrou swanger word* en aan 'n seun geboorte gee, sal sy sewe dae onrein wees, net soos in die dae van die onreinheid wanneer sy menstrueer.^k **3** Op die agtste dag moet hy besny word.^l **4** Sy moet vir die volgende 33 dae aanhou om haar van die bloed te reinig. Sy mag aan niks heiligs raak nie, en sy mag nie in die heiligdom inkom totdat die dae van haar reiniging verby is nie.

5 "As sy aan 'n dogter geboorte gee, sal sy 14 dae on-

12:2 *Of "saad ontvang".

HFST. 11

a Le 11:21

b De 14:3

c Le 20:25

d Eks 20:2

e Eks 19:6
Le 19:2
De 14:2
1Te 4:7

f 1Pe 1:15, 16
Op 4:8

g Eks 6:7
Eks 29:46
Ho 11:1

h Eks 22:31
Nu 15:40
De 7:6

i Le 20:7, 26
Jos 24:19
1Sa 2:2

j Le 20:25
Ese 44:23

HFST. 12

k Le 15:19

l Ge 17:12
Ge 21:4
Lu 1:59
Lu 2:21, 22
Joh 7:22

Tweede kol.

a Le 1:10

b Le 1:14
Le 5:7
Le 14:21, 22
Lu 2:24

HFST. 13

c Nu 12:10, 12
2Kr 26:19
Mt 8:3

d De 24:8
Ese 44:23
Mal 2:7
Lu 17:14

e Le 13:50
Le 14:38
Nu 12:15

rein wees, net soos gedurende haar menstruasie. Sy moet vir die volgende 66 dae aanhou om haar van die bloed te reinig. **6** Wanneer die dae van haar reiniging vir 'n seun of 'n dogter verby is, moet sy 'n jong skaapram in sy eerste jaar as 'n brandoffer^a en 'n jong duif of 'n tortelduif as 'n sonde-offer bring na die ingang van die tent van samekoms, na die priester toe. **7** Hy moet dit voor Jehovah aanbied en vir haar versoening doen, en sy sal rein wees van haar bloedvloeïing. Dit is die wet oor die vrou wat aan 'n seun of 'n dogter geboorte gee. **8** Maar as sy nie 'n skaap kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee jong duive neem,^b een as 'n brandoffer en een as 'n sonde-offer, en die priester moet vir haar versoening doen, en sy sal rein wees."

13 Jehovah het verder met Moses en Aäron gepraat en gesê: **2** "As iemand 'n swelsel, 'n roof of 'n vlek op sy vel kry wat dalk melaatsheid*^c op sy vel kan word, moet hy na die priester Aäron of na een van sy seuns, die priesters,^d gebring word. **3** Die priester moet die infeksie op sy vel ondersoek. As die hare by die infeksie wit geword het en dit lyk of die infeksie dieper as die vel is, is dit melaatsheid. Die priester moet dit ondersoek en hom onrein verklaar. **4** Maar as die vlek op sy vel wit is en dit nie lyk asof dit dieper as die vel is nie en die hare nie wit geword het nie, moet die priester die persoon met die infeksie vir sewe dae onder kwarantyn plaas.^e **5** Die priester moet hom dan op die sewende dag ondersoek, en

13:2 *Die Hebreeuse woord wat met "melaatsheid" vertaal word, het 'n breë betekenis. Sien Woordelys.

as dit lyk asof die infeksie nie vererger en op die vel versprei het nie, moet die priester hom nog sewe dae onder kwarantyn plaas.

6 "Die priester moet hom op die sewende dag weer ondersoek, en as die infeksie dof geword het en nie op die vel versprei het nie, moet die priester hom rein verklaar.^a Dit was net 'n roof. Die man moet dan sy klere was en rein wees. **7** Maar as die roof* op die vel versprei het nadat hy voor die priester verskyn het om rein verklaar te word, moet hy weer^b voor die priester verskyn. **8** Die priester moet dit ondersoek, en as die roof op die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid.^b

9 "As iemand melaatsheid kry, moet hy na die priester toe gebring word, **10** en die priester moet hom ondersoek.^c As daar 'n wit swelsel op die vel is en dit die hare wit laat word het en daar 'n oop seer^d in die swelsel is, **11** is dit chroniese melaatsheid op sy vel, en die priester moet hom onrein verklaar. Hy moet hom nie onder kwarantyn plaas nie,^e want hy is onrein. **12** En as die melaatsheid oor die hele vel uitbreek en die melaatsheid die persoon van kop tot toon bedek, so ver as wat die priester kan sien, **13** en die priester hom ondersoek het en sien dat die melaatsheid sy hele vel bedek het, dan moet hy die persoon met die infeksie rein* verklaar. Die hele vel het wit geword, en hy is rein. **14** Maar as 'n oop seer op sy vel verskyn, sal hy onrein wees. **15** Wanneer die priester die oop seer sien, moet hy hom

13:7 *Of "die infeksie". #Of "'n tweede keer". 13:13 *Of "nie-aansteeklik".

HFST. 13

a Mt 8:4
Mr 1:44
Lu 5:14
Lu 17:14

b Le 13:15, 25,
30, 42
Nu 12:10, 12

c Le 13:3

d Le 13:24, 25

e Le 13:4

Tweede kol.

a De 24:8

b Le 13:8

c Lu 5:14
Lu 17:14

d Ese 44:23

e Le 13:4, 50
Le 14:38
Nu 12:15

f Mt 8:4
Mr 1:44
Lu 5:14
Lu 17:14

onrein verklaar.^a Die oop seer is onrein. Dit is melaatsheid.^b **16** Maar as die oop seer weer wit word, moet hy na die priester toe kom. **17** Die priester moet hom ondersoek,^c en as die infeksie wit geword het, moet die priester die persoon met die infeksie rein verklaar. Hy is rein.

18 "As iemand 'n sweer op sy vel kry en dit gesond word, **19** maar daar in die plek van die sweer 'n wit swelsel of 'n rooierige wit vlek ontstaan het, dan moet hy hom vir die priester wys. **20** Die priester moet dit ondersoek,^d en as dit lyk asof dit dieper as die vel is en die hare daarvan wit geword het, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid wat in die sweer uitbreek het. **21** Maar as die priester dit ondersoek en sien dat daar geen wit hare daarop is en dat dit nie dieper as die vel is nie en dat dit dof lyk, dan moet die priester hom vir sewe dae onder kwarantyn plaas.^e **22** En as dit duidelik is dat dit oor die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is 'n siekte. **23** Maar as die vlek op een plek bly en nie versprei het nie, is dit net die ontsteking van die sweer, en die priester moet hom rein verklaar.^f

24 "Of as iemand 'n brandwond as gevolg van vuur het en die rou vlees van die wond 'n rooierige wit of 'n wit vlek word, **25** moet die priester dit ondersoek. As die hare op die vlek wit geword het en dit lyk asof dit dieper as die vel is, is dit melaatsheid wat in die wond uitbreek het, en die priester moet hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid. **26** Maar as die priester dit ondersoek en sien dat daar geen wit hare op die

vlek is nie en dit nie dieper as die vel is nie en dat dit dof is, dan moet die priester hom vir sewe dae onder kwarentyn plaas.^a **27** Die priester moet hom op die sewende dag ondersoek, en as dit duidelik is dat dit op die vel versprei het, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid. **28** Maar as die vlek op een plek bly en nie op die vel versprei het nie en dit dof is, is dit net 'n swelsel van die wond, en die priester moet hom rein verklaar, want dit is 'n ontsteking van die wond.

29 "As 'n man of 'n vrou 'n infeksie op die kop of aan die ken kry, **30** moet die priester die infeksie ondersoek.^b As dit lyk asof dit dieper as die vel is en die hare daarop geel en yl is, moet die priester so iemand onrein verklaar. Dit is 'n infeksie van die kopvel of die baard. Dit is melaatsheid van die kop of van die ken. **31** Maar as dit nie vir die priester lyk asof die infeksie dieper as die vel is nie en daar geen swart hare daarop is nie, dan moet die priester die persoon met die infeksie vir sewe dae onder kwarentyn plaas.^c **32** Die priester moet die infeksie op die sewende dag ondersoek, en as dit nie versprei het nie en daar geen geel hare daarop is nie en dit nie lyk asof dit dieper as die vel is nie, **33** dan moet die persoon hom laat skeer, maar hy moenie die vel met die infeksie laat skeer nie. Dan moet die priester die persoon met die infeksie vir sewe dae onder kwarentyn plaas.

34 "Op die sewende dag moet die priester die vel met die infeksie weer ondersoek, en as die infeksie van die kopvel en baard nie op die vel versprei het

HFST. 13

a Le 13:4, 50
Le 14:38
Nu 12:15

b De 24:8
Mal 2:7

c Le 13:4, 50
Le 14:38
Nu 12:15

Tweede kol.

a Mt 8:4
Mr 1:44
Lu 5:14
Lu 17:14

b Le 13:2

nie en dit nie lyk asof dit dieper as die vel is nie, dan moet die priester hom rein verklaar, en hy moet sy klere was en rein wees. **35** Maar as dit ná sy reiniging duidelik is dat die infeksie op die vel versprei, **36** dan moet die priester hom ondersoek, en as die infeksie op die vel versprei het, hoef die priester nie na geel hare te soek nie. Daardie persoon is onrein. **37** Maar as die ondersoek toon dat die infeksie nie versprei het nie en swart hare daarop gegroei het, het die infeksie gesond geword. Hy is rein, en die priester moet hom rein verklaar.^a

38 "As 'n man of 'n vrou vlekke op die vel kry en die vlekke wit is, **39** dan moet die priester dit ondersoek.^b As die vlekke op die vel 'n dowwe wit is, is dit 'n onskadelike uitslag wat op die vel uitgeslaan het. Daardie persoon is rein.

40 "As 'n man die hare op sy kop verloor en bles word, is hy rein. **41** As hy die hare aan die voorkant van sy kop verloor en daar bles word, is hy rein. **42** Maar as 'n rooierige wit seer op die bles gedeelte van sy kopvel of sy voorkop ontstaan, is dit melaatsheid wat op sy kopvel of op sy voorkop uitbreek. **43** Die priester moet hom ondersoek, en as die swelsel van die infeksie op die bles gedeelte van sy kop of sy voorkop 'n rooierige wit is en as dit soos melaatsheid op sy vel lyk, **44** is hy 'n melaatse. Hy is onrein, en die priester moet hom onrein verklaar as gevolg van die siekte op sy kop. **45** Wat die melaatse betref wat die siekte het, sy klere moet geskeur wees en sy kop moet onversorg gelaat word en hy moet sy snor bedek en uitroep: 'Onrein,

onrein!' **46** Hy sal onrein wees solank hy die siekte het. Omdat hy onrein is, moet hy in afsondering woon. Sy woonplek moet buite die kamp wees.^a

47 "As 'n kledingstuk deur melaatsheid besmet word, of dit nou 'n kledingstuk van wol of van linne is, **48** en of dit nou in die lengtedrade of in die dwarsdrade van die linne of van die wol is, of as dit in 'n vel is of in enigiets wat van vel gemaak is, **49** en die kledingstuk, die vel, die lengtedrade, die dwarsdrade of enige voorwerp van vel deur die geelgroen of rooierige vlek van die siekte besmet is, is dit deur melaatsheid besmet en moet dit vir die priester gewys word. **50** Die priester moet die vlek ondersoek, en hy moet die voorwerp met die siekte vir sewe dae onder kwarentyn plaas.^b **51** Wanneer hy die siekte op die sewende dag ondersoek en sien dat dit versprei het in die kledingstuk, in die lengtedrade, in die dwarsdrade of in die vel (vir water doel die vel ook al gebruik word), is die siekte kwaadaardige melaatsheid en is dit onrein.^c **52** Hy moet die kledingstuk of die lengtedrade of die dwarsdrade (of dit nou wol of linne is) of enige voorwerp van vel waarin die siekte ontstaan het, verbrand, want dit is kwaadaardige melaatsheid. Dit moet met vuur verbrand word.

53 "Maar as die priester dit ondersoek en die siekte nie in die kledingstuk of in die lengtedrade of in die dwarsdrade of in enige voorwerp van vel versprei het nie, **54** dan moet die priester beveel dat hulle die besmette voorwerp was, en hy moet dit nog sewe dae onder kwarentyn plaas. **55** Die priester moet die besmette voorwerp ondersoek nadat dit deeglik gewas is.

HFST. 13

a Nu 5:2
Nu 12:14
2Kn 7:3
2Kr 26:20, 21

b Le 13:4
Le 14:38
Nu 12:15

c Le 14:44, 45

Tweede kol.

a Le 13:52

HFST. 14

b Le 13:2
Mt 8:4
Mr 1:44
Lu 5:14
Nu 17:14

c Le 14:49-53
Nu 19:6, 9
Ps 51:7

As die besmette deel nog dieselfde lyk, al het die siekte nie versprei nie, is dit onrein. Jy moet dit met vuur verbrand omdat dit aan die binnekant of buitekant weggeveet is.

56 "Maar as die priester dit ondersoek het en die besmette deel dof geword het nadat dit deeglik gewas is, dan moet hy dit uit die kledingstuk of die vel of die lengtedrade of die dwarsdrade uitskeur. **57** As dit egter nog steeds sigbaar is in 'n ander deel van die kledingstuk of in die lengtedrade of in die dwarsdrade of in enige voorwerp van vel, is dit besig om te versprei, en jy moet enige besmette voorwerp met vuur verbrand.^a **58** Maar as die vlek verdwyn nadat jy die kledingstuk of die lengtedrade of die dwarsdrade of enige voorwerp van vel gewas het, dan moet dit 'n tweede keer gewas word, en dit moet rein wees.

59 "Dit is die wet oor melaatsheid in 'n kledingstuk van wol of van linne of in die lengtedrade of in die dwarsdrade of in enige voorwerp van vel, om dit rein of onrein te verklaar."

14 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Dit sal die wet van die melaatsheid wees op die dag dat hy rein verklaar word, wanneer hy na die priester toe gebring moet word.^b **3** Die priester moet buite die kamp gaan en hom ondersoek. As die melaatsheid van die melaatsheid genees is, **4** moet die priester hom beveel om twee lewendende rein voëls, sederhout, helderrooi materiaal en hisop vir sy reiniging te bring.^c **5** Die priester moet beveel dat die een voël in 'n kleihouer oor vars water doorgemaak moet word. **6** Maar hy moet die lewendende voël sowel as die sederhout, die

helderrooi materiaal en die hysop neem en dit saam in die bloed van die voël doop wat oor die vars water doodgemaak is. **7** Dan moet hy dit sewe keer spat op die persoon wat homself van die melaatsheid reinig en hom rein verklaar, en hy moet die lewende voël in die oop veld vrylaat.^a

8 "Die persoon wat homself reinig, moet sy klere was en al sy hare afskeer en in water bad, en hy sal rein wees. Daarna mag hy in die kamp inkom, maar hy moet sewe dae lank buite sy tent bly. **9** Op die sewende dag moet hy al die hare op sy kop en sy ken sowel as sy wenkbroue afskeer. Nadat hy al sy hare afskeer het, moet hy sy klere was en in water bad, en hy sal rein wees.

10 "Op die agtste dag moet hy twee jong skaapramme sonder gebrek neem, sowel as een oilam wat sonder gebrek is,^b in haar eerste jaar, 'n graanoffer van drie tiendes van 'n efa* fynmeel wat met olie gemeng is^c en een log[#] olie.^d **11** Die priester wat hom rein verklaar, moet die persoon wat homself reinig, saam met die offers, voor Jehovah bring by die ingang van die tent van samekoms. **12** Die priester moet die een jong ram neem en dit saam met die log olie as 'n skuldoffer bring,^e en hy moet dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg.^f **13** Dan moet hy die jong ram op die plek slag waar die sonde-offer en die brandoffer gewoonlik geslag word,^g op 'n heilige plek, want die skuldoffer behoort aan die priester, net soos die sonde-offer.^h Dit is iets besonder heiligs.ⁱ

14:10 *Drie tiendes van 'n efa was gelyk aan 6,6 l. Sien Aanh. B14. #'n Log was gelyk aan 0,31 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 14

a Le 16:22

b Le 4:32

c Le 2:1

d Mr 1:44

e Le 6:6

f Le 14:21, 24

g Le 1:10, 11
Le 4:3, 4

h Le 2:3
Le 7:7
1Kor 9:13
1Kor 10:18

i Le 6:25

Tweede kol.

a Le 14:10

b Le 6:7
1Jo 1:7
1Jo 2:1, 2

c Le 5:6

d Le 2:1
Le 14:10
Nu 15:4

e Mt 8:4

f Le 14:9
Mr 1:44
Lu 5:14
Lu 17:14

14 "Dan moet die priester van die bloed van die skuldoffer neem, en die priester moet dit smeer aan die onderste deel van die regteroor van die persoon wat homself reinig en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet. **15** En die priester moet van die log olie neem^a en dit in sy eie linkerpalm gooi. **16** Die priester moet dan sy regtervinger in die olie steek wat in sy linkerpalm is en van die olie sewe keer met sy vinger voor Jehovah spat. **17** Dan moet die priester van die olie wat in sy palm oor is, aan die onderste deel van die regteroor smeer van die persoon wat homself reinig, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, bo-oor die bloed van die skuldoffer. **18** Die priester moet die olie wat in sy palm oor is, op die kop smeer van die persoon wat homself reinig, en die priester moet vir hom versoening doen voor Jehovah.^b

19 "Die priester moet die sonde-offer bring^c en versoening doen vir die persoon wat homself van sy onreinheid reinig, en daarna moet hy die brandoffer slag. **20** En die priester moet die brandoffer en die graanoffer^d op die altaar offer, en die priester moet vir hom versoening doen,^e en hy sal rein wees.^f

21 "Maar as hy arm is en dit nie kan bekostig nie, moet hy een jong skaapram as 'n skuldoffer neem en dit as 'n beweegoffer aanbied, om vir homself versoening te doen, sowel as 'n graanoffer van een tiende van 'n efa* fynmeel wat met olie

14:21 *'n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanh. B14.

gemeng is, 'n log olie **22** en twee tortelduiwe of twee jong duiwe, afhangende van wat hy kan bekostig. Die een moet dien as 'n sonde-offer en die ander as 'n brandoffer.^a **23** Op die agtste dag^b moet hy hulle na die priester by die ingang van die tent van samekoms bring om voor Jehovah rein verklaar te word.^c

24 "Die priester moet die jong ram vir die skuldoffer^d en die log olie neem, en die priester moet dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg.^e **25** Hy moet dan die jong ram vir die skuldoffer slag, en die priester moet van die bloed van die skuldoffer neem en dit smeer aan die onderste deel van die regteroor van die persoon wat homself reinig en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet.^f **26** Die priester moet van die olie in sy eie linkerpalm gooi,^g **27** en dan moet hy van die olie in sy linkerpalm sewe keer met sy regtervinger voor Jehovah spat. **28** En die priester moet van die olie in sy palm aan die onderste deel van die regteroor smeer van die persoon wat homself reinig, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, op dieselfde plekke waar hy die bloed van die skuldoffer gesmeer het. **29** Dan moet die priester die olie wat in sy palm oor is, op die kop smeer van die persoon wat homself reinig sodat hy vir hom versoening kan doen voor Jehovah.

30 "Hy moet twee tortelduiwe of twee jong duiwe offer, afhangende van wat hy kan bekostig.^h **31** Hy moet die een as 'n sonde-offer en die ander as 'n brandoffer offer,ⁱ saam met die graanoffer. Die priester moet

HFST. 14

a Le 1:14
Le 5:7
Le 12:8

b Le 15:13, 14

c Le 14:10, 11

d Le 6:6

e Le 14:12

f Le 14:14

g Le 14:15-18

h Le 12:8
Le 14:22

i Le 5:7

Tweede kol.

a Le 14:20

b Nu 35:10

c Ge 17:8

d De 7:12, 15

e Le 13:4, 50
Nu 12:15

voor Jehovah versoening doen vir die persoon wat homself reinig.^a

32 "Dit is die wet vir die persoon wat melaatsheid gehad het, maar nie die nodige middele vir sy reiniging het nie."

33 Toe het Jehovah vir Moses en Aäron gesê: **34** "Wanneer julle in die land Kanaän^b kom, wat ek aan julle as 'n besitting gee,^c en ek melaatsheid in 'n huis in julle land laat ontstaan,^d **35** moet die eienaar van die huis vir die priester kom sê: 'Daar is een of ander soort besmetting in my huis.' **36** Die priester moet beveel dat alles uit die huis geneem moet word voordat hy kom om die besmetting te ondersoek, sodat hy nie alles wat in die huis is, onrein verklaar nie. Daarna moet die priester inkom om die huis te ondersoek. **37** Hy moet die besmette deel ondersoek, en as daar geelgroen of rooierige holtes in die mure van die huis is en dit lyk asof dit dieper as die muuropervlak is, **38** dan moet die priester uit die huis uitgaan en die huis sewe dae onder kwarantyn plaas.^e

39 "Dan moet die priester op die sewende dag terugkeer en ondersoek instel. As die besmetting op die mure van die huis versprei het, **40** moet die priester beveel dat die besmette stene uitgebreek en buite die stad op 'n onrein plek gegooi moet word. **41** Dan moet hy die binnekant van die huis deeglik laat afskraap, en die pleister en messelklei wat afgeskraap is, moet buite die stad op 'n onrein plek gegooi word. **42** Hulle moet dan die stene wat hulle uitgehaal het met ander stene vervang, en hy moet ander messelklei gebruik en die huis laat pleister.

43 “Maar as die besmetting terugkom en in die huis uitbreek nadat die stene verwyder is en die huis afgeskraap en weer gepleister is, **44** dan moet die priester ingaan en dit ondersoek. As die besmetting in die huis versprei het, is dit kwaadaardige melaatsheid^a in die huis. Die huis is onrein. **45** Hy moet dan die huis laat afbreek – die stene, die balke en al die pleister en messelklei van die huis – en dit buite die stad na ’n onrein plek laat uitdra.^b **46** Maar enigiemand wat in die huis inkom gedurende enige van die dae dat dit onder kwarantyn is,^c sal tot die aand toe onrein wees.^d **47** En enigiemand wat in die huis gaan lê of enigiemand wat in die huis eet, moet sy klere was.

48 “Maar as die priester kom en hy sien dat die besmetting nie in die huis versprei het nadat dit weer gepleister is nie, dan moet die priester die huis rein verklaar, want die besmetting het verdwyn. **49** Om die huis van onreinheid* te reinig, moet hy twee voëls, sederhout, helderrooi materiaal en hisop neem.^e **50** Hy moet die een voël doodmaak oor ’n kleihouer met vars water. **51** Dan moet hy die sederhout, die hisop, die helderrooi materiaal en die lewende voël neem en dit doop in die bloed van die voël wat doodgemaak is en in die vars water, en hy moet dit sewe keer in die rigting van die huis spat.^f **52** En hy moet die huis van onreinheid* reinig met die bloed van die voël, die vars water, die lewende voël, die sederhout, die hisop en die helderrooi materiaal. **53** Dan moet hy die lewende voël buite die stad in die oop veld vrylaat en vir die huis

14:49, 52 *Lett. “sonde”.

HFST. 14

a Le 13:51

b Le 14:41

c Le 14:38

d Le 11:23-25

Le 15:8

Le 17:15

Le 22:4-6

e Le 14:3, 4

Nu 19:6, 7

f Le 14:6, 7

Tweede kol.

a Le 13:30

b Le 13:47

c Le 14:34

d Le 13:2

e Le 10:10

Ese 44:23

f De 24:8

HFST. 15

g Le 22:4

Nu 5:2

h Le 11:24, 25

Le 14:46, 47

Le 17:15

Le 22:6

versoening doen, en dit sal rein wees.

54 “Dit is die wet oor enige geval van melaatsheid, infeksie van die kopvel of die baard,^a **55** melaatsheid aan kledingstukke^b of in ’n huis^c **56** en oor swelsels, rowe en vlekke,^d **57** om vas te stel wanneer iets onrein is en wanneer iets rein is.^e Dit is die wet oor melaatsheid.”^f

15 Jehovah het verder met Moses en Aäron gepraat en gesê: **2** “Praat met die Israëliete en sê vir hulle: ‘As ’n man ’n afskeiding uit sy geslagsorgaan* het, maak die afskeiding hom onrein.^g **3** Hy is onrein as gevolg van die afskeiding. Of die afskeiding nou uit sy geslagsorgaan vloei of weens ’n verstopping nie kan uitvloei nie, hy is nog steeds onrein.

4 “Enige bed waarop ’n persoon met ’n afskeiding lê, sal onrein wees, en enigiets waarop hy sit, sal onrein wees. **5** Enigiemand wat aan sy bed raak, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.^h **6** Enigiemand wat op ’n voorwerp sit waarop ’n persoon met ’n afskeiding gesit het, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **7** Enigiemand wat aan die liggaam* van ’n persoon met ’n afskeiding raak, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **8** As ’n persoon met ’n afskeiding spoeg op iemand wat rein is, moet daardie persoon sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **9** Enige saal waarop ’n persoon met ’n

15:2 *Lett. “sy vlees”. 15:7 *Lett. “vlees”.

afskieding ry, sal onrein wees. **10** Enigiemand wat aan enigiets raak wat onder hom was, sal tot die aand toe onrein wees, en enigiemand wat hierdie voorwerpe dra, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **11** As 'n persoon met 'n afskieding^a nie sy hande in water gewas het nie en hy aan iemand raak, moet daardie persoon sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **12** 'n Kleihouer waaraan 'n persoon met 'n afskieding raak, moet stukkend gebreek word, en enige houthouer moet met water gewas word.^b

13 "Wanneer die afskieding ophou en die persoon rein word, moet hy sewe dae vir sy reiniging tel, en hy moet sy klere was en in vars water bad, en hy sal rein wees.^c **14** Op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem^d en voor Jehovah kom by die ingang van die tent van samekoms en hulle vir die priester gee. **15** En die priester moet hulle offer, die een as 'n sonde-offer en die ander as 'n brandoffer, en die priester moet vir hom versoening doen voor Jehovah as gevolg van sy afskieding.

16 "En as 'n man 'n saadstorting het, moet hy sy hele liggaa in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.^e

17 Hy moet enige kledingstuk en enige vel was wat saad daarop het, en dit sal tot die aand toe onrein wees.

18 "As 'n man by 'n vrou gaan lê en 'n saadstorting het, moet hulle in water bad, en hulle sal tot die aand toe onrein wees.^f

19 "As 'n vrou 'n afskieding van bloed het, sal sy sewe dae lank onrein wees omdat

HFST. 15
a Le 15:2
b Le 11:32, 33
c Le 14:8
d Le 1:14
e Le 22:4
De 23:10, 11
f Eks 19:15
1Sa 21:5

Tweede kol.

a Le 12:2, 5
b Le 20:18
c Le 15:4-6
d Le 15:10
e Le 18:19
Le 20:18
f Mt 9:20
Lu 8:43
g Le 15:19
h Le 15:21
i Le 15:22
j Le 15:13
k Le 1:14

sy menstrueer.^g Enigiemand wat aan haar raak, sal tot die aand toe onrein wees.^b **20** Enigiets waarop sy gedurende haar menstruele onreinheid lê, sal onrein wees, en alles waarop sy sit, sal onrein wees.^c **21** Enigiemand wat aan haar bed raak, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **22** Enigiemand wat aan enige voorwerp raak waarop sy gesit het, moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees. **23** As sy op die bed of op 'n ander voorwerp gesit het, sal hy tot die aand toe onrein wees as hy daaraan raak.^d **24** En as 'n man seksuele omgang met haar het en haar menstruele onreinheid op hom kom,^e sal hy sewe dae lank onrein wees, en enige bed waarop hy lê, sal onrein wees.

25 "As 'n vrou se afskieding van bloed baie dae lank vloei^f en dit nie die normale tyd van haar menstruasie is nie,^g of as haar vloeiing langer duur as haar gewone menstruasie, sal sy al die dae van haar afskieding onrein wees, net soos in die dae van haar menstruele onreinheid. **26** Enige bed waarop sy gedurende die dae van haar afskieding lê, sal soos die bed van haar menstruele onreinheid word,^h en enige voorwerp waarop sy sit, sal onrein word soos gedurende haar menstruele onreinheid. **27** Enigiemand wat aan hierdie dinge raak, sal onrein wees, en hy moet sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.ⁱ

28 "Maar wanneer haar afskieding opegehou het, moet sy vir haar sewe dae tel, en daarna sal sy rein wees.^j **29** Op die agtste dag moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem,^k en sy moet hulle na die priester toe bring by die ingang

van die tent van samekoms.^a
30 Die priester moet die een 'n sonde-offer en die ander 'n brandoffer maak, en die priester moet vir haar versoening doen voor Jehovah as gevolg van haar onrein afskeiding.^b

31 "So moet julle die Israëliete afgesonderd hou van hulle onreinheid sodat hulle nie in hulle onreinheid sterf omdat hulle my tabernakel, wat by hulle is, onrein gemaak het nie.^c

32 "Dit is die wet oor die man wat 'n afskeiding het, die man wat onrein is omdat hy 'n saadstorting het.^d **33** die vrou gedurende haar menstruele onreinheid,^e enige man of vrou uit wie se liggaam 'n afskeiding vloei^f en 'n man wat seksuele omgang met 'n onrein vrou het."

16 Jehovah het met Moses gepraat nà die dood van Aäron se twee seuns wat gestorf het omdat hulle nader gekom het voor Jehovah.^g **2** Jehovah het vir Moses gesê: "Sê vir jou broer Aäron dat hy nie sommer enige tyd in die heiligdom,^h agter die gordyn,ⁱ tot voor die deksel op die Ark mag inkom nie, sodat hy nie sterf nie,^j want ek sal in 'n wolke^k bokant die deksel^l verskyn.

3 "Aäron moet die volgende bring wanneer hy in die heiligdom inkom: 'n jong bul as 'n sonde-offer^m en 'n skaapram as 'n brandoffer.ⁿ **4** Hy moet die heilige klee van linne^o aantrek, en die kortbroek* van linne^p moet sy kaal liggaam^q bedek, en hy moet die lyfband van linne^q om sy middel sit en die tulband van linne^r om sy kop bind. Dit is heilige klere.^s Hy moet in water bad^t en dit aantrek.

16:2, 12 *Of "voorhangsel". 16:4 *Of "onderklere". #Lett. "vlees".

HFST. 15

- a Le 15:14, 15
- b Le 12:7
- c Le 19:30
Nu 5:3
Nu 19:20
- d Le 15:16
- e Le 15:19
- f Le 15:2, 25

HFST. 16

- g Le 10:1, 2
- h Le 23:27
- i Eks 40:21
Heb 6:19
Heb 9:3, 7
- j Nu 4:19, 20
- k Eks 40:34
- l Eks 25:22
- m Le 4:3
- n Le 1:3
- o Eks 28:39
- p Eks 28:42
- q Eks 39:27, 29
- r Eks 28:4
- s Eks 28:2
- t Eks 30:20
Heb 10:22

Tweede kol.

- a Heb 7:27
- b Heb 5:1-3
- c Spr 16:33
- d Le 14:7, 53
Le 16:21, 22
Jes 53:4
Ro 15:3
- e Le 16:6
- f Heb 9:4
- g Eks 40:29
Le 6:13
Nu 16:46
- h Eks 30:34-36
Op 5:8
Op 8:3-5
- i Le 16:2
Heb 6:19
Heb 10:19, 20
- j Eks 25:22
2Kn 19:15
- k Eks 25:18, 21
1Kr 28:11
- l Eks 34:29
- m Heb 9:22
- n Ro 3:25
Heb 9:12
Heb 9:24, 25
Heb 10:4, 12

5 "Hy moet van die gemeenskap van Israel^a twee jong bokramme as 'n sonde-offer en een skaapram as 'n brandoffer neem.

6 "Dan moet Aäron die bul as 'n sonde-offer vir homself aanbied, en hy moet vir hom^b en sy huis versoening doen.

7 "Hy moet dan die twee bokke neem en hulle voor Jehovah bring by die ingang van die tent van samekoms. **8** Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, die een lot vir Jehovah en die ander lot vir Asa'sel.* **9** Aäron moet die bok aanbied wat deur middel van die lot^c vir Jehovah bestem is en dit 'n sonde-offer maak. **10** Maar die bok wat deur middel van die lot vir Asa'sel bestem is, moet lewend voor Jehovah gebring word om versoening daarmee te doen, sodat dit vir Asa'sel weggestuur kan word, die wildernis in.^d

11 "Aäron moet die bul as 'n sonde-offer vir homself aanbied, en hy moet vir hom en sy huis versoening doen. Daarna moet hy die bul as 'n sonde-offer vir homself slag.^e

12 "Hy moet dan die vuurbak^f vol brandende kole van die altaar^g voor Jehovah neem, sowel as twee hande vol fyn geurige reukwerk,^h en hy moet dit binne die gordyn* bring.ⁱ **13** Hy moet ook die reukwerk op die vuur plaas voor Jehovah,^j en die rookwolk van die reukwerk moet die deksel van die Ark,^k wat op die Getuënis is,^l omhul, sodat hy nie sterf nie.

14 "Hy moet van die bul se bloed neem^m en dit met sy vinger voor die deksel spat, aan die oostekant, en hy moet van die bloed sewe keer met sy vinger voor die deksel spat.ⁿ

16:8 *Betekën moontlik "bok wat verdwyn".

15 “Hy moet dan die bok slag wat ’n sonde-offer vir die volk is,^a en hy moet die bloed tot agter die gordyn* bring^b en met die bloed^c doen soos hy met die bul se bloed gedoen het. Hy moet dit in die rigting van die deksel en voor die deksel spat.

16 “Hy moet vir die heiligdom versoening doen as gevolg van die Israeliete se dade van onreinheid en as gevolg van hulle oortredings en hulle sondes,^d en dit is wat hy moet doen vir die tent van samekoms, wat by hulle is en wat deur hulle dade van onreinheid omring word.

17 “Geen ander mens mag in die tent van samekoms wees vandat hy ingaan om in die heiligdom versoening te doen totdat hy uitkom nie. Hy moet versoening doen vir hom en vir sy huis^e en vir die hele gemeente van Israel.^f

18 “Hy moet dan uitgaan na die altaar,^g wat voor Jehovah is, en daarvoor versoening doen, en hy moet van die bul se bloed en van die bok se bloed neem en dit aan elkeen van die horings van die altaar smeer. 19 Hy moet ook van die bloed sewe keer met sy vinger daarop spat en dit reinig en dit heilig van die Israeliete se dade van onreinheid.

20 “Nadat hy versoening gedoen het^h vir die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar,ⁱ moet hy ook die lewende bok aanbied.^j 21 Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewende bok sit en al die verkeerde dinge wat die Israeliete gedoen het en al hulle oortredings en al hulle sondes oor hom bely, en hy moet dit op die kop van die bok^k sit en hom wegstuur, die wildernis in, deur die

16:15 *Of “voorhangsel”.

HFST. 16

- a Le 16:5
Heb 2:17
Heb 5:1-3
Heb 9:26
1Jo 2:1, 2
- b Heb 6:19
Heb 9:3, 7
Heb 10:19, 20
- c Le 17:11
- d Pr 7:20
- e Le 16:6
- f Mr 10:45
Heb 2:9
Heb 7:27
Heb 9:7, 12
Op 1:5
- g Eks 38:1
- h Heb 9:23
- i Le 16:16
- j Le 16:8, 10
- k Jes 53:5, 6
2Kor 5:21

Tweede kol.

- a Jes 53:12
Ef 1:7
Heb 9:28
1Pe 2:24
1Jo 3:5
- b Ps 103:12
Heb 13:12
- c Le 16:10
- d Eks 30:20
- e Eks 28:4
Le 8:7
- f Le 16:3
- g Le 16:5
- h Ef 1:7
- i Le 16:8, 21
- j Le 4:11, 12
Heb 13:11, 12
- k Le 23:27, 28
Nu 29:7
- l Joh 3:16
Ro 8:32
Tit 2:13, 14
1Jo 1:7
1Jo 3:16

hand van ’n man wat aangewys is om dit te doen.* 22 Die bok sal al hulle oortredings op hom dra^a na ’n verlate plek,^b en hy moet die bok wegstuur, die wildernis in.^c

23 “Aäron sal dan in die tent van samekoms ingaan en die linneklere uittrek wat hy aange-trek het toe hy in die heiligdom ingegaan het, en hy sal dit daar neersit. 24 Hy moet op ’n heilige plek in water bad*^d en sy klere aantrek.^e Dan moet hy uitgaan en sy brandoffer^f en die volk se brandoffer^g bring en vir hom en vir die volk versoening doen.^h 25 Hy moet die vet van die sonde-offer op die altaar laat rook.

26 “Die man wat die bok vir Asa’sel weggestuur het,ⁱ moet sy klere was en in water bad, en daarna mag hy in die kamp inkom.

27 “En die bul vir die sonde-offer en die bok vir die sonde-offer, waarvan die bloed in die heiligdom ingebring is om versoening te doen, moet uit die kamp geneem word, en hulle vel en hulle vleis en hulle mis moet met vuur verbrand word.^j

28 Die persoon wat hulle verbrand, moet sy klere was en in water bad, en daarna mag hy in die kamp inkom.

29 “Dit moet vir julle ’n permanente wetsbepaling wees: In die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle julle verneder,* en nie julle of die uitlanders wat onder julle woon, mag enige werk doen nie.^k

30 Op hierdie dag moet versoening^l vir julle gedoen word

16:21 *Of “’n man wat gereed staan”.
16:24 *Lett. “sy vlees in water was”.
16:29 *Kan verwys na verskeie vorme van selfonthouding, insluitende die gebruik om te vas.

om julle rein te verklaar. Julle moet van al julle sondes rein wees voor Jehovah.^a **31** Dit is 'n sabbat, 'n spesiale rusdag vir julle, en julle moet julle verneer.^b Dit is 'n permanente wetsbepaling.

32 "Die priester wat gesalf is^c en ingehuldig is* om in die plek van sy pa^d as priester te dien,^e moet versoening doen en die linneklere,^f die heilige klere,^g aantrek. **33** Hy moet versoening doen vir die allerheiligste plek,^h die tent van samekomsⁱ en die altaar.^j En hy moet versoening doen vir die priesters en vir die hele volk van die gemeente.^k **34** Dit is vir julle 'n permanente wetsbepaling,^l om een keer per jaar vir die Israeliete versoening te doen vir al hulle sondes."^m

Hy het toe gedoen net soos Jehovah Moses beveel het.

17 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Praat met Aäron en sy seuns en al die Israeliete en sê vir hulle: "Dit is wat Jehovah beveel het:

3 "As enigiemand van die huis van Israel 'n bul of 'n jong skaapram of 'n bok in die kamp slag of buite die kamp slag **4** in plaas daarvan om dit na die ingang van die tent van samekoms te bring om dit voor die tabernakel van Jehovah as 'n offer vir Jehovah aan te bied, sal hy as bloedskuldig beskou word. Hy is bloedskuldig, en dié man moet doorgemaak word en so uit sy volk verwyder word. **5** Dit is sodat die Israeliete die offerandes, wat hulle nou in die oop veld offer, na Jehovah sal bring, na die ingang van die tent van samekoms, na die priester toe. Hulle moet dit

16:32 *Lett. "wie se hand gevul sal word".

HFST. 16

- a Jer 33:8
Heb 9:13, 14
Heb 10:2
b Le 23:32
c Eks 29:4, 7
Le 8:12
d Nu 20:26
e Le 8:33
f Eks 28:39
Eks 39:27, 28
g Eks 28:2
Eks 29:29
Le 16:4
h Le 16:16
i Le 16:20
j Le 16:18
k Le 16:24
l Jo 2:1, 2
l Le 23:31
Nu 29:7
m Eks 30:10
Heb 9:7

Tweede kol.

HFST. 17

- a Le 3:1, 2
Le 7:11
b Le 3:3-5
Le 7:29-31
c De 32:17
Jos 24:14
d Eks 34:15
De 31:16
e Le 1:3
De 12:5, 6
De 12:13, 14
f Ge 9:4
Le 3:17
Le 7:26
Le 19:26
1Sa 14:33
Han 15:20, 29
g Le 17:14
De 12:23
h Le 8:15
Le 16:18
i Mt 26:28
Ro 3:25
Ro 5:9
Ef 1:7
Heb 9:22
Heb 13:12
1Pe 1:2
l Jo 1:7
Op 1:5
j Eks 12:49
k De 12:23
l De 12:16
De 15:23

as vrede-offers* aan Jehovah offer.^a **6** En die priester moet die bloed op Jehovah se altaar by die ingang van die tent van samekoms sprinkel en die vet as 'n aangename* geur vir Jehovah laat rook.^b **7** Hulle mag nie meer offerandes aan die bokagtige demone* offer,^c wat hulle aanbid* nie.^d Dit sal in al julle geslagte vir julle 'n permanente wetsbepaling wees."

8 "Jy moet vir hulle sê: 'Enigiemand van die huis van Israel of enige uitlander wat onder julle woon wat 'n brandoffer of 'n offerande bring **9** en dit nie na die ingang van die tent van samekoms bring om dit aan Jehovah te offer nie, moet doorgemaak word en so uit sy volk verwyder word.^e

10 "As enigiemand van die huis van Israel of enige uitlander wat onder julle woon, enige bloed eet,^f sal ek die persoon wat die bloed eet, beslis verwerp, en ek sal hom onder sy volk uitroei. **11** Want die lewe* van die vlees is in die bloed,^g en ek het dit vir julle gegee sodat julle vir julle versoening kan doen op die altaar,^h want dit is die bloed wat versoening doenⁱ deur die lewe* wat daarin is. **12** Daarom het ek vir die Israeliete gesê: "Nie een van julle mag bloed eet nie, en geen uitlander wat onder julle woon,^j mag bloed eet nie."^k

13 "As een van die Israeliete of 'n uitlander wat onder julle woon, gaan jag en 'n wilde dier of 'n voël vang wat geëet mag word, moet hy die bloed uitgooi^l en dit met stof bedek. **14** Want die lewe* van

17:5 *Of "gemeenskapsoffers". **17:6** *Of "kalmerende". Lett. "rustige". **17:7** *Lett. "die bokke". *Of "waarmee hulle prostitusie pleeg". **17:11, 14** *Of "siel".

elke soort vlees is sy bloed, want die lewe* is daarin. Daarom het ek vir die Israëliete gesê: "Julle mag nie die bloed van enige soort vlees eet nie, want die lewe* van elke soort vlees is sy bloed. Enigiemand wat dit eet, moet doodgemaak word."^a

15 As enigiemand, 'n gebore Israëliet of 'n uitlander, 'n dier eet wat dood gevind is of deur 'n wilde dier verskeur is,^b moet hy sy klere was en in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.^c Daarna sal hy rein wees. **16** Maar as hy nie sy klere was nie en nie bad nie,* sal hy die gevolge dra van sy oortreding."^d

18 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israëliete: 'Ek is Jehovah julle God.^e **3** Julle mag nie optree soos die mense in Egipte, waar julle gewoon het nie, en julle mag nie die dinge doen wat die mense in die land Kanaän doen, waarheen ek julle bring nie.^f En julle mag nie hulle wetsbepalings volg nie. **4** Julle moet my regterlike bevel uitvoer, en julle moet my wetsbepalings onderhou en volg.^g Ek is Jehovah julle God. **5** Julle moet my wetsbepalings en my regterlike bevel onderhou. Enigiemand wat dit doen, sal daardeur lewe.^h Ek is Jehovah.

6 "Niemand van julle mag seksuele omgang hê met* 'n nabye familielid nie.ⁱ Ek is Jehovah. **7** Jy mag nie seksuele omgang met jou pa hê nie, en jy mag nie seksuele omgang met jou ma hê nie. Sy is jou ma, en jy mag nie seksuele omgang met haar hê nie.

17:14 *Of "siel". **17:16** *Lett. "en nie sy vlees was nie". **18:6** *Lett. "die naaktheid ontbloot van". (Ook waar die uitdrukking verder voorkom.)

HFST. 17
a Le 17:10, 11
b Eks 22:31
De 14:21
c Le 11:40
d Nu 19:20

HFST. 18
e Ge 17:7
Eks 6:7
f Eks 23:24
Le 20:23
g Le 20:22
De 4:1
h Lu 10:27, 28
Ro 10:5
Ga 3:12

i Le 20:17
Tweede kol.
a Ge 35:22
Ge 49:4
Le 20:11
De 27:20
2Sa 16:21
1Kor 5:1

b Le 20:17
De 27:22
2Sa 13:10-12
c Le 20:19
d Le 20:20
e Le 20:12
f Le 20:21
De 25:5
Mr 6:17, 18
g Le 20:14
De 27:23

8 "Jy mag nie seksuele omgang met jou pa se vrou hê nie.^a Dit sal skande oor jou pa bring.*

9 "Jy mag nie seksuele omgang met jou suster hê nie, of sy nou die dogter van jou pa of die dogter van jou ma is en of sy nou in dieselfde huisgesin gebore is of nie.^b

10 "Jy mag nie seksuele omgang met die dogter van jou seun of die dogter van jou dogter hê nie, want dit sal skande oor jou bring.

11 "Jy mag nie seksuele omgang met die dogter van jou pa se vrou, die dogter van jou pa, hê nie, want sy is jou suster.

12 "Jy mag nie seksuele omgang met jou pa se suster hê nie. Sy is jou pa se bloedfamilie.^c

13 "Jy mag nie seksuele omgang met jou ma se suster hê nie, want sy is jou ma se bloedfamilie.

14 "Jy mag nie skande oor jou pa se broer bring* deur seksuele omgang met sy vrou te hê nie. Sy is jou tante.^d

15 "Jy mag nie seksuele omgang met jou skoondogter hê nie.^e Sy is jou seun se vrou, en jy mag nie omgang met haar hê nie.

16 "Jy mag nie seksuele omgang met jou broer se vrou hê nie,^f want dit sal skande oor jou broer bring.*

17 "Jy mag nie seksuele omgang met 'n vrou en haar dogter hê nie.^g Jy mag nie die dogter van haar seun en die dogter van haar dogter neem om omgang met hulle te hê nie. Hulle is haar nabye familieledes. Dit is 'n afstootlike daad.*

18:8 *Lett. "Dit is jou pa se naaktheid". **18:14** *Lett. "die naaktheid van jou pa se broer ontbloot". **18:16** *Lett. "dit is jou broer se naaktheid". **18:17** *Of "skandelige gedrag; wellustigheid".

18 “Jy mag nie jou vrou se suster as ’n tweede vrou^a neem en seksuele omgang met haar hê terwyl jou vrou nog lewe nie.

19 “Jy mag nie seksuele omgang met ’n vrou gedurende haar menstruele onreinheid hê nie.^b

20 “Jy mag nie seksuele omgang met die vrou van jou medemens^c hê en jou daardeur onrein maak nie.^c

21 “Jy mag nie toelaat dat enigeen van jou nageslag aan Molog geoffer^d word nie.^d Jy mag nie die naam van jou God op dié manier onheililig nie.^e Ek is Jehovah.

22 “Jy mag nie seksuele omgang met ’n man hê, soos jy met ’n vrou sou hê nie.^f Dit is iets afskuweliks.

23 “’n Man mag nie seksuele omgang met ’n dier hê en daardeur onrein word nie. En ’n vrou mag haar nie vir ’n dier aanbied om gemeenskap daarmee te hê nie.^g Dit is ’n skending van wat natuurlik is.

24 “Moet julle nie deur enige van hierdie dinge onrein maak nie, want die nasies wat ek voor julle uit verdryf, het hulle deur middel van al hierdie dinge onrein gemaak.^h **25** Daarom is die land onrein, en ek sal straf daaroor bring vir sy oortreding, en die land sal sy inwoners uitbraak.ⁱ **26** Maar julle, die gebore Israeliete en die uitlanders wat onder julle woon,^j moet my wetsbepalings en my regterlike bevels onderhou,^k en julle mag nie enige van hierdie afskuwelike dinge doen nie. **27** Want al hierdie afskuwelike dinge is wat die mense gedoen het wat voor julle in die land gewoon

18:18 *Lett. “’n mededingster”. **18:20** *Of “jou naaste; jou metgesel”. **18:21** *Of “gewy”.

HFST. 18

- a Ge 30:15
b Le 15:19, 24
Le 20:18
c Eks 20:14
Le 20:10
De 22:22
Spr 6:29
Mt 5:27, 28
1Kor 6:9, 10
Heb 13:4
d Le 20:2
De 18:10
1Kn 11:7
2Kn 23:10
e Le 20:3
f Ge 19:5
Le 20:13
Rig 19:22
Ro 1:26, 27
1Kor 6:9, 10
Jud 7
g Eks 22:19
Le 20:15, 16
h Le 20:23
De 18:12
i Ge 15:16
j Eks 12:49
k Le 20:22
De 4:1, 40

Tweede kol.

- a De 20:17, 18
2Kn 16:2, 3
2Kn 21:1, 2
b Le 18:3
Le 20:23
De 18:9

HFST. 19

- c Le 11:44
Jes 6:3
1Pe 1:15, 16
Op 4:8
d Eks 20:12
Ef 6:2
Heb 12:9
e Eks 20:8, 11
Eks 31:13
Lu 6:5
f Le 26:1
Ps 96:5
Hab 2:18
1Kor 10:14
g Eks 20:4, 23
De 27:15
h Le 3:1
i Le 7:11, 12
j Le 7:17, 18

het,^a en nou is die land onrein. **28** As julle die land nie onrein maak nie, dan hoef die land julle nie uit te braak soos dit die nasies sal uitbraak wat voor julle daar was nie. **29** As enigiemand enige van hierdie afskuwelike dinge doen, moet hy wat dit doen, doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word. **30** Julle moet julle verpligting teenoor my nakom deur nie enige van die afskuwelike dinge te doen wat voor julle tyd gedoen is nie,^b sodat julle julle nie daardeur onrein maak nie. Ek is Jehovah julle God.”

19 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** “Sê vir die hele gemeenskap van Israel: ‘Julle moet heilig wees, want ek, Jehovah julle God, is heilig.’^c

3 “Elkeen van julle moet sy ma en sy pa respekteer,^d en julle moet my sabbatte hou.^e Ek is Jehovah julle God. **4** Moenie op waardelose gode vertrou^f of gode van gegote metaal vir julle maak nie.^g Ek is Jehovah julle God.

5 “En as julle ’n vrede-offer^h aan Jehovah offer,^h moet julle dit op so ’n manier offer dat julle goedkeuring vir julleself verkry.’ **6** Dit moet op die dag van julle offerande en die volgende dag geëet word, maar wat tot die derde dag oorbly, moet met vuur verbrand word.ⁱ **7** Maar as enige deel daarvan op die derde dag geëet word, is dit iets afstootliks wat nie aanvaar sal word nie. **8** Die persoon wat dit eet, sal die gevolge dra van sy oortreding, want hy het iets onheililig wat vir Jehovah heilig is, en dié persoon^j moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word.

19:3 *Lett. “vrees”. **19:5** *Of “gemeenskapsoffer”. **19:8** *Of “siel”.

9 “Wanneer jy die oes van jou land insamel, moet jy nie die rand van jou landery heeltemal afoes nie en moet jy nie die oorblyfsels van jou oes optel nie.^a

10 Jy moet ook nie die oorblyfsels van jou wingerd insamel of die druiwe wat van jou wingerd afgeval het, optel nie. Jy moet dit los vir die arme^{*b} en die uitlander wat onder julle woon. Ek is Jehovah julle God.

11 “Julle mag nie steel nie,^c julle mag nie bedrieg nie^d en julle mag nie oneerlik met mekaar wees nie. 12 Julle mag nie valslik by my naam sweer^e en sodoende die naam van julle God onheilig nie. Ek is Jehovah. 13 Jy mag nie bedrog teenoor jou medemens pleeg nie,^f en jy mag niemand be-roof nie.^g Jy mag nie die loon van ’n gehuurde werker die hele nag tot die oggend toe terughou nie.^h

14 “Jy mag nie ’n dowe persoon vervloek of iets voor ’n blinde persoon sit wat hom kan laat struikel nie,ⁱ en jy moet jou God vrees.^j Ek is Jehovah.

15 “Jy mag nie onregverdig wees wanneer jy oordeel nie. Jy mag nie die armes begunstig of die rykes voortrek nie.^k Met geregtigheid moet jy jou medemens oordeel.

16 “Jy mag nie rondgaan en laster onder jou volk versprei nie.^l Jy mag nie jou medemens se lewe^m in gevaar stel nie.ⁿ Ek is Jehovah.

17 “Jy mag nie jou broer in jou hart haat nie.ⁿ Jy moet jou medemens beslis reghelp^{*o} sodat jy nie in sy sonde deel nie.

19:10 *Of “geteisterde”. 19:16 *Lett. “bloed”. [#]Of moontlik “Jy mag nie net staan en kyk as jou medemens se lewe in gevaar is nie”. 19:17 *Of “tereg-wys”.

HFST. 19

a Le 23:22

De 24:19

b De 15:7

c Eks 20:15

Ef 4:28

d Le 6:2

Spr 12:22

Ef 4:25

e Eks 20:7

Mt 5:33, 37

Jak 5:12

f Spr 22:16

Mr 10:19

g Spr 22:22

h De 24:15

Jer 22:13

Jak 5:4

i De 27:18

j Le 25:17

Ne 5:15

Spr 1:7

Spr 8:13

1Pe 2:17

k Eks 23:3

De 1:16, 17

De 16:19

2Kr 19:6

Ro 2:11

Jak 2:9

l Ps 15:1, 3

m Eks 20:16

1Kn 21:13

n Spr 10:18

1Jo 2:9

1Jo 3:15

o Ps 141:5

Spr 9:8

Mt 18:15

Tweede kol.

a Spr 20:22

Ro 12:19

b Mt 5:43, 44

Mt 22:39

Ro 13:9

Ga 5:14

Jak 2:8

c De 22:9

d De 22:11

e Le 6:6, 7

f De 26:1, 2

Spr 3:9

g Le 3:17

Le 17:13

De 12:23

Han 15:20, 29

18 “Jy mag nie wraak neem^a of ’n wrok koester teen die kinders van jou volk nie, en jy moet jou medemens liefhê soos jouself.^b Ek is Jehovah.

19 “Julle moet my wetsbepalings onderhou: Jy mag nie twee soorte vee kruis nie. Jy mag nie twee soorte saad op jou landery saai nie,^c en jy mag nie ’n kleed dra van materiaal wat van ’n kombinasie van twee soorte garing gemaak is nie.^d

20 “As ’n man by ’n vrou gaan lê en seksuele omgang met haar het en sy ’n slavin is wat vir ’n ander man belowe is, maar sy nog nie losgekoop is of haar vryheid gegee is nie, moet hulle gestraf word. Maar hulle moenie doodgemaak word nie, want sy was nog nie vrygelaat nie. 21 Hy moet sy skuldoffer vir Jehovah na die ingang van die tent van samekoms bring, ’n skaapram as ’n skuldoffer.^e

22 Die priester moet hiermee vir hom versoening doen voor Jehovah vir die sonde wat hy gepleeg het, en hy sal vergewe word vir die sonde wat hy gepleeg het.

23 “Wanneer julle in die land kom en julle enige vrugteboom plant, moet julle die vrugte daarvan as onrein en verbode^{*} beskou. Drie jaar lank sal dit vir julle verbode[#] wees. Dit mag nie geëet word nie.

24 Maar in die vierde jaar sal al die vrugte daarvan heilig wees, en dit sal ’n tyd van vreugde wees voor Jehovah.^f 25 Dan, in die vyfde jaar, mag julle die vrugte daarvan eet, en dit sal vir julle ’n groot opbrengs lewer. Ek is Jehovah julle God.

26 “Julle mag niks eet wat bloed bevat nie.^g

19:23 *Lett. “as die voorhuid daarvan”. [#]Lett. “onbesnede”.

“Julle mag nie na tekens* soek of toorkuns beoefen nie.^a

27 “Julle mag nie die hare aan die kant van julle kop* skeer[#] of die rand van julle baard so sny dat julle dit misvorm nie.^b

28 “Julle mag geen snye in julle vlees maak vir 'n dooie persoon* nie,^c en julle mag geen tatoeëermerke op julle maak nie. Ek is Jehovah.

29 “Moenie jou dogter ont-
eer deur haar 'n prostituut te
maak nie,^d sodat die land nie
prostitusie pleeg en met los se-
des gevul word nie.^e

30 “Julle moet my sabbate
hou,^f en julle moet diep respek*
vir my heiligdom hê. Ek is Jeho-
vah.

31 “Moenie hulp gaan soek
by mense wat geeste oproep*
nie,^g en moenie fortuinvertel-
lers gaan sien^h en julle onrein
maak deur middel van hulle nie.
Ek is Jehovah julle God.

32 “Voor grys hare moet jy
opstaan,ⁱ en jy moet aan 'n ouer
persoon eer betoon,^j en jy moet
jou God vrees.^k Ek is Jehovah.

33 “As 'n uitlander by jul-
le in julle land woon, mag julle
hom nie mishandel nie.^l **34** Die
uitlander wat by julle woon,
moet vir julle soos 'n mede-Is-
raeliet word.^m Julle moet hom
liefhê soos julleself, want julle
het as uitlanders in Egipte ge-
woon.ⁿ Ek is Jehovah julle God.

35 “Julle mag nie oneer-
lik wees wanneer julle lengtes,
gewigte of hoeveelhede meet
nie.^o **36** Julle moet 'n akkura-
te weegskaal, akkurate gewig-

HFST. 19

- a Eks 8:7
De 18:10-12
Ga 5:19, 20
Op 21:8
b Le 21:1, 5
c De 14:1
d De 23:17
e Heb 13:4
1Pe 4:3
f Eks 20:10
Eks 31:13
g Le 20:6
De 18:10-12
1Kr 10:13
Jes 8:19
h Le 20:27
Han 16:16
i Spr 16:31
Spr 20:29
j Job 32:6
Spr 23:22
1Ti 5:1
k Job 28:28
Spr 1:7
Spr 8:13
1Pe 2:17
l Eks 23:9
m Eks 12:49
n Eks 22:21
o De 25:13, 15
Spr 20:10

Tweede kol.

- a Spr 11:1
b Le 18:5
De 4:6

HFST. 20

- c Le 18:21
De 18:10
d Ese 5:11
e De 13:6-9
f Eks 20:5
g Le 19:31
De 18:10-12
Ga 5:19, 20
Op 21:8
h Le 20:27
Han 16:16
i 1Kr 10:13
j Le 11:44
1Pe 1:15, 16
k Le 18:4
Pr 12:13
l Eks 31:13
Le 21:8
1Te 5:23
2Te 2:13

te, 'n akkurate droëmaat* en 'n
akkurate vloeistofmaat[#] hê.^a Ek
is Jehovah julle God wat julle
uit Egipte uitgelei het. **37** Jul-
le moet al my wetsbepalings en
al my regterlike bevele onder-
hou, en julle moet dit volg.^b Ek
is Jehovah.”

20 Jehovah het verder vir
Moses gesê: **2** “Jy moet
vir die Israëliete sê: ‘Enige Is-
raelitiese man en enige uitlan-
der wat in Israel woon wat enig-
een van sy nageslag aan Molog
gee, moet vir seker doodgemaak
word.^c Die volk van die land
moet hom met klippe doodgooi.

3 Ek sal so 'n man verwerp, en
ek sal hom onder sy volk uit-
troei, want hy het van sy nage-
slag aan Molog gegee en my heil-
igdom onrein gemaak^d en my
heilige naam onheilig. **4** As
die volk van die land hulle oë
opsetlik sluit vir wat dié man
doen wanneer hy sy nageslag
aan Molog gee, en hulle hom nie
doodmaak nie,^e **5** dan sal ek
dié man en sy familie beslis ver-
werp.^f Ek sal hom onder sy volk
uitroei, sowel as almal wat Mo-
log saam met hom aanbid.*

6 “As iemand ontrou is aan
my^g deur hulp te gaan soek by
mense wat geeste oproep*^g en
by die fortuinvertellers,^h sal ek
daardie persoon beslis verwerp
en hom onder sy volk uitroei.ⁱ

7 “Julle moet julle heilig en
heilig word,^j want ek is Jehovah
julle God. **8** En julle moet my
wetsbepalings onderhou en uit-
voer.^k Ek is Jehovah, wat julle
heilig.^l

9 “As enigiemand sy pa of sy
ma vervloek, moet hy vir seker

19:36 *Lett. “'n akkurate efa”. Sien
Aanh. B14. #Lett. “'n akkurate hin”.
Sien Aanh. B14. **20:5** *Of “wat saam
met hom prostitusie pleeg deur Mo-
log te aanbid”. **20:6** *Of “geestelike
prostitusie pleeg”.

19:26 *Of “voortekens”. 19:27 *Of
“sylokke”. #Of “knip; afsny”. 19:28
*Of “vir 'n siel”. Die Hebreeuse woord
ne'fesj verwys hier na 'n dooie persoon.
19:30 *Of “ontslag”. Lett. “vrees”.
19:31; 20:6 *Of “by spiritistiese medi-
ums”.

doodgemaak word.^a Aangesien hy sy pa of sy ma vervloek het, is hy verantwoordelik vir sy eie dood.*

10 "En wat 'n man betref wat egbreuk pleeg met 'n ander man se vrou: Die man wat egbreuk pleeg met die vrou van sy medemens, moet vir seker doodgemaak word, die egbreker en die egbreekster.^b **11** 'n Man wat seksuele omgang met sy pa se vrou het, het skande oor sy pa gebring.*^c Hulle moet albei vir seker doodgemaak word. Hulle is verantwoordelik vir hulle eie dood.[#] **12** As 'n man seksuele omgang met sy skoondogter het, moet hulle albei vir seker doodgemaak word. Hulle het geskend wat natuurlik is. Hulle is verantwoordelik vir hulle eie dood.^{#d}

13 "As 'n man seksuele omgang met 'n ander man het, soos hy met 'n vrou sou hê, het hulle albei iets afskuweliks gedoen.^e Hulle moet vir seker doodgemaak word. Hulle is verantwoordelik vir hulle eie dood.[#]

14 "As 'n man 'n vrou en haar ma neem, is dit 'n afstootlike daad.*^f Al drie moet met vuur verbrand word,^g sodat afstootlike gedrag nie onder julle bly bestaan nie.

15 "As 'n man seksuele omgang met 'n dier het, moet hy vir seker doodgemaak word, en julle moet die dier doodmaak.^h

16 As 'n vrou seksuele omgang met enige dier het,ⁱ moet jy die vrou en die dier doodmaak. Hulle moet vir seker doodgemaak word. Hulle is verantwoordelik vir hulle eie dood.[#]

20:9 *Lett. "is sy bloed op hom". **20:11** *Lett. "sy pa se naaktheid ontbloom". **20:11-13, 16** *Lett. "Hulle bloed is op hulle". **20:14** *Of "skandelige gedrag; wellustigheid".

HFST. 20

a Eks 21:17
De 27:16
Spr 20:20
Mt 15:4

b De 5:18
De 22:22
Ro 7:3
1Kor 6:9, 10

c Le 18:8
De 27:20

d Le 18:15, 29

e Ge 19:5
Le 18:22
Rig 19:22
Ro 1:26, 27
1Kor 6:9, 10
Jud 7

f Le 18:17
De 27:23

g Le 21:9

h Eks 22:19
De 27:21

i Le 18:23

Tweede kol.

a Le 18:9
De 27:22

b Le 18:19

c Le 18:12, 13

d Le 18:14

e Le 18:16
De 25:5

f Eks 21:1
De 5:1

g Pr 12:13

h Le 18:26, 28

i Le 18:3, 24
De 12:30

j Le 18:27
De 9:5

17 "As 'n man sy suster neem, die dogter van sy pa of die dogter van sy ma, en seksuele omgang met haar het, is dit 'n skande.^a Hulle moet voor die oë van hulle volk doodgemaak word. Hy het skande oor sy suster gebring.* Hy moet die gevolge dra van sy oortreding.

18 "As 'n man seksuele omgang het met 'n vrou wat menstrueer, het hy sowel as sy haar bloedvloeiing ontbloom.^b Hulle moet albei doodgemaak word en so uit hulle volk verwyder word.

19 "Jy mag nie seksuele omgang met jou ma se suster of met jou pa se suster hê nie, want dit sal skande bring oor een van jou bloedfamilieledes.^c Albei moet die gevolge dra van hulle oortreding. **20** 'n Man wat seksuele omgang met sy oom se vrou het, het skande oor sy oom gebring.*^d Hulle moet verantwoordelik gehou word vir hulle sonde. Hulle moet kinderloos sterf. **21** As 'n man sy broer se vrou neem, is dit iets walglikes.^e Hy het skande oor sy broer gebring.* Hulle moet kinderloos sterf.

22 "Julle moet al my wetsbepalings en al my regterlike bevels onderhou^f en uitvoer,^g sodat die land waarheen ek julle bring om in te woon, julle nie uitbraak nie.^h **23** Julle mag nie die wetsbepalings volg van die nasies wat ek voor julle uit verdryf nie,ⁱ want hulle het al hierdie dinge gedoen, en ek verafsku hulle.^j **24** Daarom het ek vir julle gesê: "Julle sal hulle land in besit neem, en ek sal dit aan julle as julle besitting gee,

20:17 *Lett. "sy suster se naaktheid ontbloom". **20:20** *Lett. "sy oom se naaktheid ontbloom". **20:21** *Lett. "sy broer se naaktheid ontbloom".

'n land wat oorloop van melk en heuning.^a Ek is Jehovah julle God, wat julle van die volke afgesonder het.”^b **25** Julle moet 'n onderskeid maak tussen die rein dier en die onrein dier en tussen die onrein voël en die rein voël.^c Julle mag julle nie walglik maak deur middel van 'n dier of 'n voël of enigiets wat op die grond kruip, wat ek vir julle afgesonder het as iets wat julle as onrein moet beskou nie.^d **26** Julle moet vir my heilig wees, want ek, Jehovah, is heilig,^e en ek sonder julle van die volke af om myne te word.^f

27 “Enige man of vrou wat geeste oproep* of wat 'n fortuinverteller is,^g moet vir seker doodgemaak word.^g Die volk moet hulle met klippe doodgooi. Hulle het die doodstraf oor hulleself gebring.”^h

21 Jehovah het verder vir Moses gesê: “Sê vir die priesters, Aäron se seuns: 'Niemand mag hom onrein maak vir 'n dooie persoon* onder sy volk nie.^h **2** Maar hy mag dit doen vir nabye bloedfamilie, vir sy ma, sy pa, sy seun, sy dogter, sy broer, **3** en hy mag hom onrein maak vir sy suster as sy 'n maagd was wat na aan hom was en nog nie getroud was nie. **4** Hy mag hom nie onrein maak en hom onheilig vir 'n vrou wat aan 'n man van sy volk behoort nie. **5** Hulle mag nie hulle kop kaal skeerⁱ of die rand van hulle baard afskeer of snye in hulle liggaam maak nie.^j **6** Hulle moet heilig wees vir hulle God,^k en hulle moenie die naam van hulle God onheilig nie,^l want hulle bied Jehovah se vuur-

20:27 *Of “'n spiritistiese medium is”. *Of “'n voorspellende gees het”. ^aLet. “Hulle bloed is op hulle”. **21:1** *Of “vir 'n siel”.

HFST. 20

- a Eks 3:17
Eks 6:8
De 8:7-9
Ese 20:6
b Eks 19:5
Eks 33:16
1Kn 8:53
1Pe 2:9
c Le 11:46, 47
De 14:4-20
d Le 11:43
e Le 19:2
Ps 99:5
1Pe 1:15, 16
Op 4:8
f De 7:6
g Eks 22:18
Le 19:31
Le 20:6
De 18:10-12
Op 21:8

HFST. 21

- h Nu 19:14
i De 14:1
j Le 19:27, 28
k Eks 29:44
l Le 18:21
Le 19:12
Le 22:32

Tweede kol.

- a Jes 52:11
1Pe 1:15, 16
b Le 19:29
c De 24:1
Ese 44:22
d Eks 28:41
e Eks 28:36
Le 11:45
Le 20:7, 8
f Le 20:14
g Le 8:12
h Eks 28:2
Eks 29:29
Le 16:32
i Ge 37:34
Le 10:6
j Nu 6:7
Nu 19:11, 14
k Le 10:7
l Le 8:12
m Ese 44:22
n Esr 9:2

offers aan, die brood* van hulle God, en hulle moet heilig wees.^a

7 Hulle mag nie trou met 'n prostituut,^b 'n vrou wat onteer is of 'n vrou wat van haar man geskei is nie,^c want die priester is heilig vir sy God. **8** Jy moet hom heilig,^d want hy bied die brood van jou God aan. Hy moet vir jou heilig wees, want ek, Jehovah, wat julle heilig, is heilig.^e

9 “En as die dogter van 'n priester haar onheilig deur prostitusie te pleeg, onheilig sy haar pa. Sy moet met vuur verbrand word.^f

10 “Die hoëpriester onder sy broers, op wie se kop die salfolie uitgegooi^g is en wat ingehuldig is* om die priesterlike klere te dra,^h mag nie sy kop onversorg laat of sy klere skeur nie.ⁱ

11 Hy mag nie naby enige dooie persoon* kom nie.^j Hy mag hom nie eers vir sy pa of sy ma onrein maak nie. **12** Hy mag nie uit die heiligdom uitgaan nie, en hy mag nie die heiligdom van sy God onheilig nie,^k want die toewydingsteken, die salfolie van sy God,^l is op hom. Ek is Jehovah.

13 “Hy mag net trou met 'n vrou wat 'n maagd is.^m **14** Hy mag nie trou met 'n weduwee, 'n geskeide vrou, 'n vrou wat ont-eer is of 'n prostituut nie, maar hy moet 'n maagd uit sy volk as vrou neem. **15** Hy mag nie sy nageslag* onder sy volk onheilig nie,ⁿ want ek is Jehovah, wat hom heilig.”

16 Jehovah het verder vir Moses gesê: **17** “Sê vir Aäron: ‘Geen man uit jou nageslag,* in

21:6 *Of “voedsel”, wat na offerandes verwys. **21:10** *Let. “wie se hand gevul is”. **21:11** *Of “enige dooie siel”. Die Hebreuse woord *ne'fesj* word hier verbind met 'n Hebreuse woord wat “dood” beteken. **21:15, 17** *Let. “saad”.

al hulle geslagte, wat 'n gebrek het, mag nader kom om die brood van sy God aan te bied nie. **18** Geen man wat 'n gebrek het, mag nader kom nie: 'n man wat blind of kreupel is of 'n misvormde gesig het* of 'n liggaamsdeel het wat te lank is, **19** 'n man met 'n gebreekte voet of 'n gebreekte hand, **20** of wat 'n boggelrug het of wat 'n dwerg* is of 'n man met 'n oogdefek of ekseem of ringwurm of beskadigde testikels.^a **21** Geen man van die nageslag* van Aäron, die priester, wat 'n gebrek het, mag nader kom om Jehovah se vuuroffers aan te bied nie. Omdat hy 'n gebrek het, mag hy nie nader kom om die brood van sy God aan te bied nie. **22** Hy mag die brood van sy God eet uit die besonder heilige dinge^b en uit die heilige dinge.^c **23** Maar hy mag nie naby die gordyn* kom nie,^d en hy mag nie by die altaar kom nie,^e want hy het 'n gebrek. Hy mag nie my heiligdom ontheilig nie,^f want ek is Jehovah, wat hulle heilig."^g

24 Moses het dit toe vir Aäron en sy seuns en al die Israëliete gesê.

22 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir Aäron en sy seuns dat hulle versigtig moet wees wanneer hulle die heilige dinge van die Israëliete hanteer* en dat hulle nie my heilige naam moet ontheilig^h in verband met die dinge wat hulle vir my heilig nie.ⁱ Ek is Jehovah. **3** Sê vir hulle: 'Enige man uit julle nageslag,

21:18 *Lett. "of 'n gesplete neus het". 21:20 *Of moontlik "uitgeteer". 21:21 *Lett. "saad". 21:23 *Of "voorhangsel". 22:2 *Lett. "dat hulle hulle afgesonder moet hou van die heilige dinge van die kinders van Israel".

HFST. 21

a De 23:1

b Le 2:10
Le 6:14, 16
Le 24:8, 9
Nu 18:9

c Le 22:10
Nu 18:19

d Eks 30:6

e Eks 38:1

f Eks 25:8

g Eks 28:41

HFST. 22

h Le 21:6

i Eks 28:38
Nu 18:32

Tweede kol.

a Le 7:20

b Le 13:2

c Le 15:2

d Le 14:2
Le 15:13

e Le 21:1
Nu 19:11, 22

f Le 15:16

g Le 11:24, 43

h Le 15:7, 19

i Nu 19:6, 7

j Nu 18:11

k Eks 22:31
Le 17:15
De 14:21

l Eks 29:33

in al julle geslagte, wat in 'n onrein toestand naby die heilige dinge kom wat die Israëliete aan Jehovah heilig, moet doorgemaak word en so voor my verwyder word.^a Ek is Jehovah. **4** Geen man van Aäron se nageslag wat melaats^b is of 'n afskeiding^c het, mag van die heilige dinge eet totdat hy rein word nie.^d Dit geld ook vir die man wat aan iemand raak wat onrein geword het deur middel van 'n dooie persoon*^e en vir 'n man wat 'n saadstorting^f het **5** en vir 'n man wat aan 'n onrein kruipende diertjie raak^g of aan 'n mens raak wat om enige rede onrein is en wat hom onrein kan maak.^h **6** Die persoon wat aan so iets of so iemand raak, sal tot die aand toe onrein wees en mag niks van die heilige dinge eet nie, maar hy moet in water bad.ⁱ **7** Wanneer die son ondergegaan het, sal hy rein wees, en daarna mag hy van die heilige dinge eet, want dit is sy kos.^j **8** Hy mag ook nie enige dier eet wat dood gevind is of enigiets wat deur wilde diere verskeur is en daardeur onrein word nie.^k Ek is Jehovah.

9 "Hulle moet hulle verpligting teenoor my nakom, sodat hulle nie as gevolg daarvan sondig en daarvoor moet sterf omdat hulle dit ontheilig het nie. Ek is Jehovah, wat hulle heilig.

10 "Geen ongemagtigde persoon,* mag enigiets heiligs eet nie.^l Geen uitlander wat by 'n priester bly of 'n gehuurde werker mag enigiets heiligs eet nie. **11** Maar as 'n priester iemand met sy eie geld koop, mag dié persoon daarvan eet. Slawe wat in sy huis gebore is, mag ook

22:4 *Of "n siel". 22:10 *Lett. "Geen vreemdelling", d.w.s. iemand wat nie deel is van Aäron se familie nie.

van sy kos eet.^a **12** As die dogter van 'n priester met iemand trou wat nie 'n priester is nie,* mag sy nie van die bydrae van die heilige dinge eet nie. **13** Maar as die dogter van 'n priester 'n weduwee word of geskei is en sy geen nageslag het nie en sy na haar pa se huis terugkeer soos toe sy jonger was, mag sy van haar pa se kos eet,^b maar geen ongemagtigde persoon* mag daarvan eet nie.

14 "En as iemand iets heiligs eet sonder dat hy dit besef, moet hy 'n vyfde van die waarde daarvan byvoeg en die heilige offer vir die priester gee.^c **15** Hulle moenie die heilige dinge van die Israëliete wat hulle vir Jehovah bydra,^d ontheilig **16** en sodoende straf oor hulle bring vir hulle skuld omdat hulle heilige dinge geëet het nie, want ek is Jehovah, wat hulle heilig."

17 Jehovah het verder vir Moses gesê: **18** "Sê vir Aäron en sy seuns en al die Israëliete: 'As 'n Israelitese man of 'n uitlander wat in Israel woon 'n brandoffer vir Jehovah aanbied^e om sy geloftes na te kom of om 'n vrywillige offer te gee,^f **19** moet hy 'n manlike dier sonder gebrek^g uit die beeste, uit die jong skaapramme of uit die bokke aanbied om goedkeuring te verkry. **20** Julle mag niks aanbied wat 'n gebrek het nie,^h want dit sal nie vir julle goedkeuring verkry nie.

21 "As 'n man 'n vrede-offer* vir Jehovah aanbiedⁱ as 'n vrywillige offer of om 'n gelofte te betaal, sal hy slegs goedkeuring

22:12 *Of "met 'n vreemdeling trou".
22:13 *Lett. "geen vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie deel is van Aäron se familie nie. 22:21 *Of "gemeenskaps-offer".

HFST. 22

a Nu 18:11

b Le 10:14
Nu 18:19

c Le 5:15, 16

d Nu 18:32

e Nu 15:14, 16

f Le 7:16
Nu 15:3
De 12:5, 6

g Le 1:3
Le 22:22

h De 15:19, 21
De 17:1
Mal 1:8
Heb 9:14
1Pe 1:19

i Le 3:1

Tweede kol.

a Eks 22:30

b Eks 23:19
De 22:6

c Le 7:12

d Le 7:15

e Le 19:37
Nu 15:40
De 4:40

f Le 18:21
Le 19:12

g Le 10:3

verkry as dit 'n dier sonder gebrek uit die beeste of die kleinvee is. Dit moet hoegenaamd geen gebrek hê nie. **22** Geen offer moet blind wees of iets hê wat gebrek is nie. Dit moet ook nie 'n sny, 'n vrat, skurfte of ringwurm hê nie. Jy mag nie so 'n dier vir Jehovah aanbied nie of so 'n offer op die altaar vir Jehovah bring nie. **23** Jy mag 'n bul of 'n skaap met 'n liggaamsdeel wat te lank of te kort is as 'n vrywillige offer aanbied, maar dit sal nie as 'n gelofte-offer aanvaar word nie. **24** Julle mag nie 'n dier vir Jehovah aanbied waarvan die testikels beskadig of stukkend gedruk of afgeruk of afgesny is nie, en julle mag nie sulke diere in julle land offer nie. **25** En julle mag nie so 'n dier uit die hand van 'n uitlander as die brood van julle God aanbied nie, want daar is fout met so 'n dier, hy het 'n gebrek. Dit sal nie aanvaar word en vir julle goedkeuring verkry nie."

26 Jehovah het verder vir Moses gesê: **27** "As 'n bul of 'n jong skaapram of 'n bok gebore word, moet hy sewe dae by sy ma bly,^a maar van die agtste dag af sal die dier aanvaar word as 'n offer, 'n vuuroffer aan Jehovah. **28** Julle mag nie 'n bul of 'n skaap saam met sy kleintjie op dieselfde dag slag nie.^b

29 "As julle 'n dankoffer aan Jehovah offer,^c moet julle dit offer om vir julle goedkeuring te verkry. **30** Dit moet op dieselfde dag geëet word. Julle mag niks daarvan tot die oggend toe laat oorbly nie.^d Ek is Jehovah.

31 "Julle moet my gebooe gehoorsaam en uitvoer.^e Ek is Jehovah. **32** Julle mag my heilige naam nie ontheilig nie,^f en ek moet onder die Israëliete geheilig word.^g Ek is Jehovah, wat

julle heilig,^a **33** die een wat julle uit Egipte uitgelei het sodat ek julle God kan wees.^b Ek is Jehovah.”

23 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** “Sê vir die Israeliete: ‘Die seisoenfeeste^c van Jehovah wat julle moet aankondig,^d is heilige byeenkomste. Dit is my seisoenfeeste:

3 “Ses dae lank mag werk gedoen word, maar die sewende dag is ’n sabbat, ’n spesiale rusdag,^e ’n heilige byeenkoms. Julle mag geen werk doen nie. Dit is ’n sabbat vir Jehovah waar julle ook al woon.^f

4 “Dit is die seisoenfeeste van Jehovah, heilige byeenkomste, wat julle op hulle vasgestelde tye moet aankondig: **5** In die eerste maand, op die 14de dag van die maand,^g wanneer dit skemer word,^h is die Pasga^h vir Jehovah.

6 “Op die 15de dag van daardie maand is die Fees van die Ongesuurde Brode vir Jehovah.ⁱ Sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet.^j **7** Op die eerste dag moet julle ’n heilige byeenkoms hou.^k Julle mag geen harde werk doen nie. **8** Maar julle moet sewe dae lank ’n vuuroffer vir Jehovah aanbied. Daar moet ’n heilige byeenkoms op die sewende dag wees. Julle mag geen harde werk doen nie.”

9 Jehovah het verder vir Moses gesê: **10** “Sê vir die Israeliete: ‘Wanneer julle uiteindelik in die land kom wat ek aan julle gee en julle die oes daarvan ingesamel het, moet julle ’n graanbondel van die eerste opbrengs^l van julle oes na die priester toe bring.^m **11** En hy

23:5 *Lett. “tussen die twee aande”.
23:10 *Of “die eersteling”. Sien Woordelys.

HFST. 22
a Eks 19:5
Le 20:8
Le 21:8

b Eks 6:7
Le 11:45

HFST. 23
c Eks 23:14
Le 23:37

d Nu 10:10

e Eks 16:30
Eks 20:10
Han 15:21

f Ne 13:22

g Nu 9:2, 3
Nu 28:16

h Eks 12:3, 6
De 16:1
1Kor 5:7

i Nu 28:17
1Kor 5:8

j Eks 12:15
Eks 13:6
Eks 34:18

k Eks 12:16

l 1Kor 15:20, 23

m Nu 18:8, 12
Spr 3:9
Ese 44:30

Tweede kol.

a Eks 34:22
De 16:9, 10

b Han 2:1

c Nu 28:26-31
De 16:16

d Le 7:11, 13

e Eks 23:16
Eks 34:22

moet die graanbondel heen en weer voor Jehovah beweeg om vir julle goedkeuring te verkry. Die priester moet dit op die dag ná die Sabbat heen en weer beweeg. **12** Op die dag dat julle die graanbondel heen en weer laat beweeg, moet julle ’n jong skaapram sonder gebrek, in sy eerste jaar, as ’n brandoffer aan Jehovah bring. **13** Die graanoffer wat daarmee saamgaan, moet twee tiendes van ’n efa* fynmeel wees wat met olie gemeng is, as ’n vuuroffer aan Jehovah met ’n aangenameⁿ geur. Die drankoffer wat daarmee saamgaan, moet ’n kwart hin^a wyn wees. **14** Julle mag geen brood, geroosterde graan of nuwe graan tot op daardie dag eet, totdat julle die offer van julle God gebring het nie. Dit is ’n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag waar julle ook al woon.

15 “Julle moet sewe sabbatte tel vanaf die dag ná die Sabbat, vanaf die dag dat julle die graanbondel van die beweegoffer bring.^a Dit moet volle weke wees. **16** Julle moet 50 dae tel,^b met ander woorde tot die dag ná die sewende Sabbat, en dan moet julle ’n nuwe graanoffer vir Jehovah aanbied.^c **17** Julle moet twee brode uit julle woonplekke as ’n beweegoffer bring. Dit moet van twee tiendes van ’n efa* fynmeel gemaak word. Dit moet met suurdeeg gemaak word,^d as die eerste opbrengs vir Jehovah.^e **18** En julle moet saam met die brode sewe ramlammers, elk ’n jaar oud en sonder gebrek, en een jong bul

23:13, 17 *Twee tiendes van ’n efa was gelyk aan 4,4 l. Sien Aanb. B14.
23:13 ⁿOf “kalmerende”. Lett. “rustige”. ^a’n Hin was gelyk aan 3,67 l. Sien Aanb. B14.

en twee skaapramme aanbied.^a Hulle sal 'n brandoffer aan Jehovah wees, saam met die graanoffer en die drankoffers wat daarmee saamgaan. Dit is 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah. **19** En julle moet een boklam as 'n sondeoffer bring^b en twee ramlammers, elk 'n jaar oud, as 'n vredeoffer.*^c **20** Die priester moet die twee ramlammers saam met die brode van die eerste opbrengs as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg. Dit moet die priester s'n word^d as iets heiligs vir Jehovah. **21** Julle moet op daardie dag aankondig^e dat daar vir julle 'n heilige byeenkoms sal wees. Julle mag geen harde werk doen nie. Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag in al julle woonplekke.

22 "Wanneer julle die oes van julle land insamel, moet julle nie die rand van julle landery heeltemal afoes en die oorblyfsels van julle oes optel nie.^f Julle moet dit los vir die arme*^g en vir die uitlander wat onder julle woon.^h Ek is Jehovah julle God."

23 Jehovah het verder vir Moses gesê: **24** "Sê vir die Israëliete: 'In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n spesiale rusdag wees, 'n gedenktag wat deur die blaas van trompette aangekondig word,ⁱ 'n heilige byeenkoms. **25** Julle mag geen harde werk doen nie, en julle moet 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied."

26 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **27** "Maar op die tiende van die sewende maand is die Versoen-

23:18 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". **23:19** *Of "gemeenskapsoffer". **23:22** *Of "geteisterde".

HFST. 23

a Nu 28:26, 27

b Le 4:23

c Le 3:1

d Le 7:34
Le 10:14
Nu 18:9
De 18:4
1Kor 9:13

e Nu 10:10

f Le 19:9
De 24:19
Rut 2:2, 3

g Jes 58:7

h Le 19:33

i Nu 10:10
Nu 29:1

Tweede kol.

a Eks 30:10
Le 25:9

b Le 16:29, 30
Nu 29:7

c Le 16:34
Heb 9:12, 24-26
Heb 10:10
1Jo 2:1, 2

d Nu 9:13
Nu 15:30

e Le 16:29-31
Le 23:27
Nu 29:7

f Eks 23:16
Nu 29:12
De 16:13
Esr 3:4
Ne 8:14-18
Joh 7:2

g Ne 8:18

h Eks 23:14
De 16:16

i Nu 28:26
Nu 29:7

dag.^a Julle moet 'n heilige byeenkoms hou, en julle moet julle verneder*^b en 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied. **28** Julle mag geen werk op daardie spesifieke dag doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen^c voor Jehovah julle God. **29** Enigiemand wat homself nie op daardie dag verneder nie,* moet doorgemaak word en so uit sy volk verwyder word.^d **30** En ek sal elkeen wat op daardie dag enige soort werk doen, onder sy volk uitroei. **31** Julle mag geen werk doen nie. Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag waar julle ook al woon. **32** Dit is 'n sabbat, 'n spesiale rusdag vir julle, en julle moet julle verneder^e op die negende van die maand, in die aand. Julle moet julle sabbat van sonder tot sonder hou."

33 Jehovah het verder vir Moses gesê: **34** "Sê vir die Israëliete: 'Op die 15de dag van die sewende maand is die Huttefees* vir Jehovah, sewe dae lank.^f **35** Daar moet 'n heilige byeenkoms op die eerste dag wees, en julle moet geen harde werk doen nie. **36** Julle moet sewe dae lank 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied. Op die agtste dag moet julle 'n heilige byeenkoms hou,^g en julle moet 'n vuuroffer vir Jehovah aanbied. Dit is 'n heilige vergadering. Julle mag geen harde werk doen nie.

37 "Dit is die seisoenfeeste^h van Jehovah wat julle as heilige byeenkomsteⁱ moet aankondig om 'n vuuroffer vir Jehovah

23:27 *Kan verwys na verskeie vorme van selfonthouding, insluitende die gebruik om te vas. **23:29** *Of moontlik "wat op daardie dag nie vas nie". **23:34** *Of "Fees van Tydelike Skuilings".

aan te bied: die brandoffer^a en die graanoffer^b van die offerande en die drankoffers^c soos dit vir elke dag voorgeskryf is. **38** Dit is ekstra offers wat aangebied moet word bo en behalwe die offers op Jehovah se sabbatte,^d asook julle gawes,^e julle gelofte-offers^f en julle vrywillige offers^g wat julle aan Jehovah moet gee. **39** Maar op die 15de dag van die sewende maand, wanneer julle die opbrengs van die land ingesamel het, moet julle die fees van Jehovah sewe dae lank vier.^h Die eerste dag is 'n spesiale rusdag en die agtste dag is 'n spesiale rusdag.ⁱ **40** Op die eerste dag moet julle vir julle die vrugte van pragtige bome neem, die blare van palmbome,^j die takke van bome met baie blare en populiere van die vallei,^k en julle moet sewe dae lank^k voor Jehovah julle God vreugdevol wees.^l **41** Julle moet dit sewe dae in die jaar as 'n fees vir Jehovah vier.^m Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag: Julle moet dit in die sewende maand vier. **42** Julle moet sewe dae lank in die hutte woon.ⁿ Al die gebore Israeliete moet in die hutte woon, **43** sodat julle toekomstige geslagte kan weet^o dat ek die Israeliete in die hutte laat woon het toe ek hulle uit Egipte uitgelei het.^p Ek is Jehovah julle God.”

44 Moses het toe met die Israeliete oor die seisoenfeeste van Jehovah gepraat.

24 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** “Beveel die Israeliete om vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die ligte te bring, om die lampe voortdurend aan die brand te hou.^q **3** Aäron moet reël dat die lam-

23:40 *Of “wadi”. Sien Woordelys.

HFST. 23

- a Le 1:3
- b Le 2:1, 11
- c Nu 15:5
Nu 28:6, 7
- d Eks 16:23
Eks 20:8
Eks 31:13
- e Eks 28:38
Nu 18:29
- f De 12:11
- g Nu 29:39
De 12:6
1Kr 29:9
2Kr 35:8
Esr 2:68
- h De 16:13
- i Nu 29:12
- j Ne 8:15
Op 7:9
- k De 16:15
- l Ne 8:10
- m Nu 29:12
- n De 31:10, 11
- o De 31:13
Ps 78:6
- p Eks 12:37, 38
Nu 24:5

HFST. 24

- q Eks 27:20, 21
Nu 8:2

Tweede kol.

- a Eks 25:31
Eks 39:33, 37
Heb 9:2
- b Eks 40:22, 23
1Sa 21:4
Mr 2:25, 26
- c Eks 25:23, 24
1Kr 7:48
- d Le 2:2
Le 6:15
- e Nu 4:7
1Kr 9:32
2Kr 2:4
- f Le 21:22
Le 22:10
1Sa 21:4, 6
Mt 12:3, 4
Lu 6:3, 4
- g Le 6:14, 16
- h Eks 12:38
Nu 11:4
- i Eks 20:7
Eks 22:28
Le 19:12
- j Eks 18:22
- k Eks 18:15, 16
Nu 15:32, 34

pe wat buite die gordyn* van die Getuienis in die tent van samedoms is, altyd voor Jehovah brand, van die aand tot die oggend toe. Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag. **4** Hy moet sorg dat die lampe op die lampstaander^a van suiwer goud altyd in orde is voor Jehovah.

5 “Jy moet fynmeel neem en 12 ringvormige brode daarmee bak. Twee tiendes van 'n efa* moet vir elke brood gebruik word. **6** Jy moet hulle in twee stapels, ses in 'n stapel,^b op die tafel van suiwer goud voor Jehovah neersit.^c **7** Jy moet suiwer wierook op elke stapel sit, en dit sal 'n simbool van die brode^d wees, 'n vuuroffer aan Jehovah. **8** Hy moet dit gereeld, op elke Sabbatdag, voor Jehovah regsit.^e Dit is 'n permanente verbod met die Israeliete. **9** Dit moet Aäron en sy seuns s'n word,^f en hulle moet dit op 'n heilige plek eet,^g want dit is iets besonder heiligs vir hom uit Jehovah se vuuroffers, as 'n permanente wetsvoorskrif.”

10 Onder die Israeliete was daar 'n seun van 'n Israelitiese vrou en 'n Egiptiese man,^h en hy en 'n Israelitiese man het in die kamp met mekaar begin baklei. **11** Die seun van die Israelitiese vrou het die Naam* begin laster en vervloek.ⁱ Daarom het hulle hom na Moses toe gebring.^j Terloops, sy ma was Se'lomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan. **12** Hulle het hom in aanhouding geplaas totdat Jehovah se besluit aan hulle bekend gemaak is.^k

24:3 *Of “voorhangsel”. **24:5** *Twee tiendes van 'n efa was gelyk aan 4,4 l. Sien Aanb. B14. **24:11** *D.w.s. die naam Jehovah, soos aangedui in vs. 15 en 16.

13 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **14** "Bring die persoon wat die vloek uitgespreek het, uit tot buite die kamp, en almal wat hom gehoor het, moet hulle hande op sy kop lê, en dan moet die hele gemeenskap van Israel hom met klippe doodgooi.^a **15** En jy moet vir die Israeliete sê: 'As enigiemand sy God vervloek, moet hy verantwoordelik gehou word vir sy sonde. **16** Die persoon wat Jehovah se naam gelaster het, moet dus vir seker doodgemaak word.^b Die hele gemeenskap van Israel moet hom beslis met klippe doodgooi. Die uitlander wat onder julle woon sowel as die gebore Israeliet moet doodgemaak word as hy die Naam laster.

17 "As iemand 'n mens se lewe neem, moet hy vir seker doodgemaak word.^c **18** Enigiemand wat 'n mak dier doodslaai, moet daarvoor vergoed, lewe vir lewe. **19** As iemand sy medemens beseer, moet daar aan hom gedoen word net soos hy gedoen het.^d **20** Breuk vir breuk, oog vir oog, tand vir tand – wat hy gedoen het, moet aan hom gedoen word.^e **21** Iemand wat 'n dier doodslaai, moet daarvoor vergoed,^f maar iemand wat 'n mens doodslaai, moet doodgemaak word.^g

22 "Dieselfde regterlike bevel moet vir julle geld – vir 'n uitlander wat onder julle woon sowel as vir 'n gebore Israeliet,^h want ek is Jehovah julle God."

23 Moses het toe met die Israeliete gepraat, en hulle het die persoon wat die vloek uitgespreek het, uitgebring tot buite die kamp, en hulle het hom met klippe doodgemoeg.ⁱ So het die Israeliete gedoen net soos Jehovah Moses beveel het.

HFST. 24

a Nu 15:32, 35
De 17:7

b De 5:11

c Ge 9:6
Eks 21:12
Nu 35:31
De 19:11-13

d Eks 21:23, 24

e De 19:21
Mt 5:38

f Eks 22:1

g Ge 9:6
Eks 21:12h Eks 12:49
Le 17:10
Le 19:34
Nu 9:14
Nu 15:16i Nu 15:33, 36
De 17:7

Tweede kol.

HFST. 25

a Ge 15:16

b Le 26:34
2Kr 36:20, 21

c Eks 23:10, 11

d Le 16:30
Le 23:27, 28e Jes 61:1, 2
Lu 4:18, 19
Ro 8:20, 21f Le 27:24
Nu 36:4
De 15:1

25 Jehovah het verder vir Moses op die berg Si'nai gesê: **2** "Sê vir die Israeliete: 'Wanneer julle uiteindelik in die land kom wat ek aan julle gee,^a dan moet die land 'n sabbat hou vir Jehovah.^b **3** Ses jaar lank moet jy saad op jou landery saai en ses jaar lank moet jy jou wingerd snoei, en jy moet die land se oeste insamel.^c **4** Maar in die sewende jaar moet daar 'n sabbat wees, 'n spesiale jaar van rus vir die land, 'n sabbat vir Jehovah. Jy mag nie saad op jou landery saai of jou wingerd snoei nie. **5** Jy mag niks oes wat vanself opkom uit die graan wat ná die oes oorbly nie, en jy mag nie die druiwe van jou ongesnoeide wingerdstok insamel nie. Daar moet 'n spesiale jaar van rus vir die land wees. **6** Maar julle mag wel die kos eet wat gedurende die sabbat op die land groei – jy, jou slawe en slavinne, jou gehuurde werkers en die uitlanders wat by jou woon, **7** sowel as die mak en die wilde diere wat in jou land is. Alles wat die land voortbring, mag geëet word.

8 "Jy moet sewe sabbatsjare aftel, sewe maal sewe jaar, en die dae van die sewe sabbatsjare sal 49 jaar wees. **9** Jy moet dan die horing hard blaas in die sewende maand, op die tiende van die maand. Op die Versoendag^d moet julle die geluid van die horing in die hele land laat hoor. **10** Julle moet die 50ste jaar heilig en vrylating in die land aankondig vir al sy inwoners.^e Dit sal vir julle 'n Jubeljaar word, en elkeen van julle moet na sy eiendom terugkeer en elkeen van julle moet na sy familie terugkeer.^f **11** Daardie 50ste jaar sal vir julle 'n Jubeljaar word. Julle mag nie saad saai of enigiets oes wat

vanself opgekom het uit die oorblywende graan nie, en julle mag nie die druiwe insamel van ongesnoeide wingerdstokke nie.^a **12** Want dit is 'n Jubeljaar. Dit moet vir julle iets heiligs wees. Julle mag net eet wat die land vanself voortgebring het.^b

13 "In die Jubeljaar moet elkeen van julle na sy eien-
dom terugkeer.^c **14** As jy enigiets aan jou medemens verkoop of enigiets by hom koop, moet julle mekaar nie uitbuit nie.^d

15 Wanneer jy 'n stuk grond by jou medemens koop, moet jy die aantal jare ná die Jubeljaar in ag neem, en hy moet die verkoopprys vasstel deur die aantal oorblywende oesjare in ag te neem.^e **16** As daar baie jare oorbly, mag hy die koopprys vermeerder, en as daar min jare oorbly, moet hy die koopprys verminder, want hy verkoop aan jou die aantal oeste wat gelewer kan word. **17** Niemand onder julle mag sy medemens uitbuit nie,^f en jy moet jou God vrees,^g want ek is Jehovah julle God.^h

18 As julle my wetsbepalings nakom en my regterlike bevele onderhou, sal julle in veiligheid in die land woon.ⁱ **19** Die land sal sy vrug gee,^j en julle sal genoeg hê om te eet, en julle sal in veiligheid daar woon.^k

20 "Maar dalk sê julle: "Wat gaan ons in die sewende jaar eet as ons nie mag saad saai of ons oeste mag insamel nie?"^l

21 Wees gerus, want ek sal in die sesde jaar my seën oor julle uitstort, en die land sal 'n oes oplewer wat genoeg sal wees vir drie jaar.^m **22** Dan moet julle in die agtste jaar saad saai en tot die negende jaar toe van die vorige oes eet. Totdat die nuwe oes inkom, moet julle van die vorige oes eet.

HFST. 25

a Le 25:5

b Eks 23:11
Le 25:6

c Le 25:29, 30
Le 27:24

d 1Sa 12:3
Spr 14:31

e Le 27:18

f Le 19:13
Spr 22:22

g Le 25:43
Spr 1:7
Spr 8:13

h Jes 33:22

i De 12:10
Ps 4:8
Spr 1:33

j Ps 67:6

k Le 26:3-5

l Le 25:4, 5
Mt 6:25

m Ge 26:12
De 28:8
Mal 3:10

Tweede kol.

a 1Kn 21:3

b Ps 24:1

c 1Kr 29:15

d Rut 2:20
Rut 4:4-6

e Le 25:50

f Le 27:24

g Le 25:10, 13

h Le 25:25-27

23 "Die grond moenie permanent verkoop word nie^a omdat die land myne is.^b Want julle is uitlanders en tydelike inwoners vanuit my standpunt.^c **24** In die hele land wat julle besit, moet die oorspronklike eienaar die reg hê om sy grond terug te koop.

25 "As jou broer arm word en 'n deel van sy eiendom moet verkoop, moet 'n terugkoper wat 'n nabye familielid is, kom en terugkoop wat sy broer verkoop het.^d **26** As iemand geen terugkoper het nie, maar hy ryk word en genoeg vind om dit terug te koop, **27** dan moet hy die waarde daarvan uitwerk op grond van die aantal jare vandat hy dit verkoop het en die verskil terugbetaal aan die man aan wie hy dit verkoop het. Dan mag hy na sy eiendom terugkeer.^e

28 "Maar as hy nie genoeg vind om dit terug te koop nie, moet wat hy verkoop het, die koper s'n bly tot die Jubeljaar^f toe. Dit moet weer syne word in die Jubeljaar, en hy mag na sy eiendom terugkeer.^g

29 "En as 'n man 'n huis in 'n ommuurde stad verkoop, sal sy terugkoopreg geldig wees vir 'n jaar vanaf die tyd dat hy dit verkoop het. Sy terugkoopreg^h sal 'n volle jaar geldig wees. **30** Maar as dit nie teen die einde van een volle jaar terugkoop word nie, moet die huis in die ommuurde stad die permanente eiendom van die koper word, vir hom en sy nageslag. Dit moenie in die Jubeljaar teruggegee word nie. **31** Maar 'n huis in 'n dorp wat nie 'n muur om het nie, moet beskou word as deel van die oop veld. Die terugkoopreg moet geldig bly, en dit moet in die Jubeljaar teruggegee word.

32 “Wat die huise in die stede van die Leviete^a betref – die Leviete sal die permanente reg hê om dit terug te koop. **33** As die eiendom van die Leviete nie teruggekoop word nie, moet die huis wat in hulle stad verkoop is, ook in die Jubeljaar teruggegee word,^b want die huise in die stede van die Leviete is hulle eiendom onder die Israëliete.^c **34** En die weiveld^d om hulle stede mag nie verkoop word nie, want dit is hulle permanente besitting.

35 “As jou broer wat naby jou woon, arm word en homself nie kan onderhou nie, moet jy hom help,^e net soos jy ’n uitlander en ’n tydelike inwoner sou help,^f sodat hy by jou aan die lewe kan bly. **36** Moe-nie rente van hom eis of wins uit hom maak nie.^g Jy moet jou God vrees,^h en jou broer sal by jou aan die lewe bly. **37** Jy mag nie vir hom rente vra wanneer jy vir hom geld leen nie,ⁱ en jy mag nie jou kos teen ’n wins aan hom verkoop nie. **38** Ek is Jehovah julle God, wat julle uit Egipte uitgelei het/ om julle die land Kanaän te gee, om te bewys dat ek julle God is.^k

39 “As jou broer wat naby jou woon, arm word en hy hom aan jou moet verkoop,^l mag jy hom nie dwing om as ’n slaaf te werk nie.^m **40** Hy moet soos ’n gehuurde werker behandel word,ⁿ soos ’n tydelike inwoner. Hy moet jou dien tot die Jubeljaar toe. **41** Dan sal hy jou verlaat, hy en sy kinders* saam met hom, en na sy familie terugkeer. Hy moet na die eiendom van sy voorvaders terugkeer.^o **42** Want hulle is my slawe wat ek uit Egipte^p uitgelei het. Hulle mag hulleself nie ver-

HFST. 25

a Nu 35:2, 8

b Le 25:28

c Nu 18:20
Nu 35:2, 4
De 18:1d Nu 35:7
Jos 14:4e De 15:7
Ps 41:1
Ps 112:5
Spr 3:27
Spr 19:17
Mr 14:7
Han 11:29
1Ti 6:18
1Jo 3:17f Eks 22:21
Eks 23:9
Le 19:34
De 10:18g Eks 22:25
De 23:19
Ps 15:5
Spr 28:8

h Spr 8:13

i De 23:20
Lu 6:34, 35j Eks 20:2
1Kn 8:51

k Eks 6:7

l Eks 21:2
De 15:12

m 1Kn 9:22

n Le 25:53

o Eks 21:3
Le 25:10p Eks 1:13, 43
Eks 19:5
Le 25:55

Tweede kol.

a Eks 3:7
Ef 6:9
Kol 4:1b Le 25:17
Pr 12:13c Eks 12:38
Jos 9:21

d Le 25:39, 43

e Le 25:25

f Le 25:26, 27

g Le 25:10

h Le 25:15, 16

i De 15:18

koop soos ’n slaaf verkoop word nie. **43** Jy mag hom nie wreed behandel nie,^a en jy moet jou God vrees.^b **44** Jou slawe en slavinne moet kom uit die nasies om julle. Julle mag by hulle ’n slaaf of ’n slavin koop. **45** Julle mag ook slawe koop uit die kinders van die uitlandse inwoners wat onder julle woon^c – uit hulle en uit hulle families wat vir hulle in julle land gebo-re is – en hulle sal julle besitting word. **46** Julle mag hulle as ’n erfdeel, as ’n permanente besitting, aan julle kinders gee. Julle mag hulle as werkers gebruik, maar julle mag nie julle Israelitiese broers wreed behandel nie.^d

47 “Maar as ’n uitlander wat onder julle woon of ’n tydelike inwoner ryk word en jou broer langs hom arm geword het en hy hom aan die uitlander of die tydelike inwoner moet verkoop, of aan ’n familielid van die uitlander, **48** sal hy die terugkoopreg behou nadat hy homself verkoop het. Een van sy broers kan hom terugkoop,^e **49** of sy oom of sy neef of enige nabye familielid* kan hom terugkoop.

“Of as hy ryk geword het, mag hy homself terugkoop.^f **50** Hy moet saam met sy koper die lengte van die tydperk uitwerk vandat hy homself verkoop het tot die Jubeljaar,^g en sy terugkoopprys moet met die aantal jare ooreenstem.^h Die waarde van sy werksdae vir hierdie tydperk moet teen die tarief van ’n gehuurde werker uitgerek word.ⁱ **51** As daar nog baie jare oorbly, moet hy sy terugkoopprys vasstel op grond van die aantal jare wat oor is. **52** Maar as daar net ’n paar

25:49 *Of “enige bloedverwant”.

jaar voor die Jubeljaar oorbly, moet hy vir homself 'n berekening doen en sy terugkoopprys betaal na gelang van die aantal jare wat oor is. **53** Hy moet aanhou om hom van jaar tot jaar as 'n gehuurde werker te dien, en jy moet sorg dat die koper hom nie wreed behandel nie.^a **54** Maar as hy homself nie op hierdie voorwaardes kan terugkoop nie, moet hy in die Jubeljaar vrygelaat word,^b hy en sy kinders* saam met hom.

55 "Want die Israeliete is my slawe. Hulle is my slawe wat ek uit Egipte uitgelei het.^c Ek is Jehovah julle God.

26 "Julle mag nie vir julle waardelose gode maak nie,^d en julle mag nie vir julle 'n beeld^e of 'n heilige pilaar oprig nie, en julle mag nie 'n klipfiguur^f in julle land sit om daarvoor neer te buig nie,^g want ek is Jehovah julle God. **2** Julle moet my sabbatte hou en diep respek vir my heiligdom hê.* Ek is Jehovah.

3 "As julle aanhou om my wetsbepalings te volg en my gebooi te gehoorsaam en julle dit uitvoer,^h **4** sal ek vir julle reën op die regte tyd gee,ⁱ en die land sal sy opbrengs lewer,^j en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. **5** Julle sal graan dors totdat julle druiwe-oes begin, en julle sal druiwe oes totdat die saaityd begin. En julle sal genoeg brood hê om te eet, en julle sal in veiligheid in julle land woon.^k **6** Ek sal vir julle vrede gee in die land,^l en julle sal gaan lê sonder dat enigiemand julle bang maak,^m en ek sal die gevaarlike wilde diere uit die land laat verdwyn, en

25:54 *Lett. "seuns". 26:2 *Of "ont-sag vir my heiligdom hê". Lett. "my heiligdom vrees".

HFST. 25

- a Le 25:40, 43 Kol 4:1
- b Eks 21:3
- c Eks 20:2 Le 25:42

HFST. 26

- d Eks 20:4 Le 19:4 Han 17:29 1Kor 8:4
- e De 5:8
- f Nu 33:52
- g Da 3:18 1Kor 10:14
- h De 11:13-15 Pr 12:13
- i De 28:12 Jes 30:23 Ese 34:26 Jl 2:23
- j Ps 67:6 Ps 85:12
- k Le 25:18
- l 1Kr 22:9 Ps 29:11 Hag 2:9
- m Mi 4:4

Tweede kol.

- a De 28:7 Jos 23:10 Rig 7:15, 16 Rig 15:15, 16 1Kr 11:20
- b De 28:4
- c Eks 6:4
- d Eks 25:8 Ese 37:26 Op 21:3
- e De 23:14
- f Eks 6:7 2Kor 6:16
- g De 28:15
- h 2Kn 17:15
- i Eks 24:7 De 31:16 Heb 8:9
- j De 28:22, 33 Rig 6:3
- k De 28:15, 25 Rig 2:14 1Sa 4:10
- l Ps 106:41 Klg 1:5
- m Le 26:36

geen swaard van oorlog sal deur julle land trek nie. **7** Julle sal beslis julle vyande agternasit, en hulle sal deur die swaard voor julle val. **8** Vyf van julle sal 100 agternasit, en 100 van julle sal 10 000 agternasit, en julle vyande sal deur die swaard voor julle val.^a

9 "Ek sal goedheid aan julle betoon en julle vrugbaar maak en julle laat vermeerder,^b en ek sal my verbond^c met julle hou. **10** Terwyl julle nog van die vorige jaar se oes eet, sal julle van die oorblyfsels ontslae moet raak om vir die nuwe oes plek te maak. **11** En ek sal my tabernakel tussen julle plaas,^d en ek sal julle nie verwerp nie. **12** Ek sal by julle wees,^e en ek sal julle God wees,^f en julle sal my volk wees.^f **13** Ek is Jehovah julle God, wat julle uit Egipte uitgelei het, sodat julle nie meer hulle slawe sou wees nie, en ek het julle juk gebreek en julle regop laat loop.

14 "Maar as julle nie na my luister en al hierdie gebooi uitvoer nie,^g **15** en as julle my wetsbepalings verwerp,^h en as julle my regterlike bevele verafsku en gevolglik nie al my gebooi uitvoer nie en julle my verbond verbreek,ⁱ **16** dan sal ek die volgende aan julle doen: Ek sal julle straf deur rampspoed oor julle te bring, deurtering en brandende koors oor julle te bring, deur julle oë te laat ingee en julle te laat wegteer. Julle sal julle saad verniet saai, want julle vyande sal dit opeet.^j **17** Ek sal julle verwerp, en julle sal deur julle vyande verslaan word.^k Julle sal vertrap word deur dié wat julle haat,^l en julle sal vlug sonder dat enigiemand julle agternasit.^m

26:12 *Of "onder julle wandel".

18 “As julle ten spyte hiervan nie na my luister nie, sal ek julle sewe keer meer vir julle sondes moet straf. 19 Ek sal julle hardkoppige trots verbreek en julle hemel soos yster^a en julle aarde soos koper maak. 20 Julle sal julle verniet uitput, want julle land sal nie sy opbrengs lewer nie,^b en die bome van die land sal nie vrugte dra nie.

21 “Maar as julle my bly teëstaan en weier om na my te luister, sal ek julle sewe keer meer moet slaan, volgens julle sondes. 22 Ek sal die wilde diere van die veld onder julle instuur,^c en hulle sal julle kinders^d en julle diere doodmaak en julle getalle verminder, en julle paaie sal verlate wees.^e

23 “As julle ten spyte hiervan nie my dissipline aanvaar nie^f en daarop aandring om my teë te staan, 24 sal ek julle ook teëstaan, en ek sal julle sewe keer vir julle sondes slaan. 25 Ek sal 'n swaard van wraak oor julle bring omdat julle die verbond^g verbreek het. As julle na julle stede vlug, sal ek siekte onder julle instuur,^h en julle sal in die hand van 'n vyand gegee word.ⁱ 26 Wanneer ek julle voedselvoorraad afsny,^{*j} sal tien vrouens julle brood in net een oond kan bak, en hulle sal julle brood dan volgens gewig uitdeel.^k Julle sal eet, maar julle sal nie versadig word nie.^l

27 “As julle ten spyte hiervan nie na my luister nie en daarop aandring om 'n weg te volg wat in teenstand is teen my, 28 sal ek julle selfs meer teëstaan,^m en ek sal julle sewe keer vir julle sondes moet straf.

26:26 *Let. “julle broodstok breek”. Moontlik 'n stok waaraan ringvormige brode gehang is vir bewaring.

HFST. 26

- a De 11:17
1Kn 17:1
b Jer 12:13
Hag 1:6, 10
c De 32:24
Jer 15:3
d Ese 5:17
e Rig 5:6
Jes 33:8
Sag 7:14
f Jes 1:16
Jer 2:30
Jer 5:3
g Eks 24:7
h De 28:21
Jer 24:10
Am 4:10
i Rig 2:14
1Sa 4:10
j Ese 5:16
k Ese 4:16
l Jes 9:20
Mi 6:14
Hag 1:6
m Jer 21:5

Tweede kol.

- a De 28:53
2Kn 6:29
Jer 19:9
Klg 4:10
Ese 5:10
b 2Kr 34:3
Jes 27:9
c 1Kn 13:2
2Kn 23:8, 20
Ese 6:5
d Ps 78:58, 59
e 2Kn 25:9, 10
2Kr 36:17
Ne 2:3
Jes 1:7
Jer 4:7
f Jer 9:11
g De 28:37
De 29:22-24
Jer 18:16
Klg 2:15
Ese 5:15
h Ps 44:11
i Jer 9:16
Ese 12:14
j Sag 7:14
k 2Kr 36:20, 21
l Jes 24:6
m Le 26:17
Jes 30:17

29 En julle sal die vlees van julle seuns moet eet, en julle sal die vlees van julle dogters eet.^a

30 Ek sal julle heilige offerhoogtes verwoes^b en julle reukwerkstaanders vernietig en julle lyke op die lyke van julle walglike afgode* ophoop,^c en ek sal julle verwerp omdat julle vir my walglik is.^d 31 Ek sal julle stede aan die swaard oorgee^e en julle heiligdomme verlate plekke maak, en ek sal nie die aangenane* geure van julle offerandes ruik nie. 32 Ek sal die land 'n verlate plek maak,^f en julle vyande wat daarin sal woon, sal verbaas daarna staar.^g 33 En ek sal julle onder die nasies verstrooi,^h en ek sal 'n swaard uittrek en julle agternasit.ⁱ Julle land sal 'n verlate plek gemaak word,^j en julle stede sal verwoes word.

34 “Gedurende daardie tyd sal die land sy sabbate afbetaal, al die dae dat dit verlate is, terwyl julle in die land van julle vyande is. Dan sal die land rus,* aangesien dit sy sabbate moet terugbetaal.^k 35 Al die dae dat dit verlate is, sal dit rus, want dit het nie gerus gedurende julle sabbate toe julle daarin gewoon het nie.

36 “Wat die oorlewendes^l betref, ek sal hulle so bang laat voel in die lande van hulle vyande dat die geluid van 'n blaas in die wind hulle sal laat vlug, en hulle sal vlug soos iemand wat van die swaard weghardloop, en hulle sal val sonder dat enigiemand hulle agternasit.^m 37 Hulle sal oor mekaar

26:30 *Die Hebreuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan 'n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui. 26:31 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”. 26:34 *Of “sabbat hou”.

struikel soos dié wat van 'n swaard weghardloop, al sit niemand hulle agterna nie. Julle sal nie weerstand kan bied teen julle vyande nie.^a **38** Julle sal onder die nasies vergaan,^b en die land van julle vyande sal julle verslind. **39** Dié van julle wat oorbly, sal as gevolg van julle oortreding in die lande van julle vyande^c gelos word om daar te verrot. Ja, hulle sal verrot as gevolg van die oortredings van hulle vaders.^d **40** Dan sal hulle hulle eie oortreding bely^e sowel as die oortreding en ontrouheid van hulle vaders en erken dat hulle ontrou gehandel het toe hulle 'n weg gevolg het wat in teenstand is teen my.^f **41** Toe het ek hulle ook teëgestaan^g deur hulle in die land van hulle vyande te bring.^h

“Dalk sal hulle ophou om hardkoppig te wees en nederig word,^{*i} en dan sal hulle hulle oortreding afbetaal. **42** En ek sal dink aan my verbond met Jakob^j en aan my verbond met Isak,^k en ek sal dink aan my verbond met Abraham,^l en ek sal dink aan die land. **43** Gedurende die tyd dat hulle nie in die land was nie, het dit sy sabbatte afbetaal^m en sonder hulle verlate gelê, en hulle het vir hulle oortreding betaal omdat hulle my regterlike bevel verwerp het en omdat hulle my wetsbepalings verafsku het.ⁿ **44** Maar terwyl hulle in die land van hulle vyande is, sal ek hulle ten spyte van dit alles nie heeltemal verwerp^o of hulle in so 'n mate verstoot dat ek hulle vernietig nie, aangesien dit my verbond met hulle sal verbreek,^p want ek is Jehovah hulle God. **45** Ter wille van hulle sal ek dink aan

26:41 *Of “hulle onbesnede hart nederig word”.

HFST. 26

a Jos 7:12
Rig 2:14
Jer 37:10

b De 4:27
De 28:48
Jer 42:17

c De 28:65

d Eks 20:5
Nu 14:18

e 1Kn 8:33
Ne 9:2
Ese 6:9
Da 9:5

f Ese 36:31

g Le 26:24

h 1Kn 8:47
2Kr 36:20

i De 30:6
Jer 4:4
Han 7:51

j Ge 28:13

k Ge 26:3

l Ge 12:7
De 4:31
Ps 106:45

m Le 26:34
2Kr 36:20, 21

n 2Kn 17:15

o De 4:31
2Kn 13:23
Ne 9:31

p De 4:13
Jer 14:21

Tweede kol.

a Eks 24:3, 8
De 9:9

b Ese 20:9

c Le 27:34
De 6:1

HFST. 27

d De 23:21
Rig 11:30, 31
1Sa 1:11

e Le 5:7, 11
Le 12:8
Le 14:21

f Lu 21:2-4
2Kor 8:12

die verbond wat ek gemaak het met hulle voorouers,^a wat ek voor die oë van die nasies^b uit Egipte uitgelei het om te bewys dat ek hulle God is. Ek is Jehovah.”

46 Dit is die wetsvoorskrifte, die regterlike bevels en die wette wat Jehovah op die berg Sinaï deur middel van Moses^c aan die Israëliete gegee het.

27 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** “Sê vir die Israëliete: ‘As 'n man 'n spesiale gelofte maak^d om die vasgestelde waarde van 'n persoon vir Jehovah aan te bied, **3** sal die vasgestelde waarde van 'n man tussen 20 en 60 jaar oud 50 sikkels* silwer wees volgens die standaardsikkel van die heiligdom.’ **4** Maar as dit 'n vrou is, sal die vasgestelde waarde 30 sikkels wees. **5** As die persoon tussen 5 en 20 jaar oud is, sal die vasgestelde waarde 20 sikkels wees vir 'n seun, en 10 sikkels vir 'n meisie. **6** As die persoon tussen een maand en vyf jaar oud is, sal die vasgestelde waarde vyf sikkels silwer wees vir 'n seun, en drie sikkels silwer vir 'n meisie.

7 “As die persoon 60 jaar of ouer is, sal die vasgestelde waarde 15 sikkels wees vir 'n man, en 10 sikkels vir 'n vrou. **8** Maar as hy te arm is om die vasgestelde waarde te betaal,^e moet die persoon voor die priester staan, en die priester sal 'n bedrag vir die persoon vasstel. Die priester sal die bedrag vasstel volgens wat die persoon wat die gelofte gemaak het, kan bekostig.^f

9 “As 'n gelofte gemaak word om 'n geskikte dier vir Je-

27:3 *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. [#]Of “volgens die heilige sikkel”.

hovah te offer, sal wat ook al vir Jehovah gegee word, iets heiligs word. **10** Hy mag dit nie vervang of dit omruil, goed vir sleg of sleg vir goed nie. Maar as hy dit omruil, een dier vir 'n ander, sal die oorspronklike dier sowel as die een wat in ruil daarvoor gegee is, iets heiligs word. **11** As dit 'n onrein dier^a is wat nie as 'n offer vir Jehovah aangebied mag word nie, moet hy die dier voor die priester bring. **12** Die priester sal dan 'n waarde vasstel volgens die gehalte daarvan. Die waarde wat die priester vasstel, sal finaal wees. **13** Maar as hy dit ooit wil terugkoop, moet hy die vasgestelde waarde gee en 'n vyfde daarvan byvoeg.^b

14 "En as 'n man sy huis as iets heiligs vir Jehovah gee, sal die priester die waarde daarvan vasstel volgens die gehalte daarvan. Die waarde wat die priester vasstel, sal die prys daarvan wees.^c **15** Maar as die persoon sy huis as iets heiligs gee en dit weer wil terugkoop, moet hy die vasgestelde waarde gee en 'n vyfde daarvan byvoeg, en dit sal syne word.

16 "As 'n man 'n deel van sy grond as iets heiligs vir Jehovah gee, sal die waarde bepaal word na gelang van die hoeveelheid saad wat daarop gesaai kan word: vir 'n homer* garssaad sal dit 50 sikkels silwer wees. **17** As hy sy stuk grond in die Jubeljaar^d as iets heiligs gee, sal die vasgestelde waarde daarvan onveranderd bly. **18** As hy sy stuk grond ná die Jubeljaar as iets heiligs gee, sal die priester vir hom die prys uitwerk na gelang van die aantal jare tot die volgende Jubeljaar, en dit

HFST. 27

a Le 20:25
De 14:7,8

b Le 27:19

c Le 27:11,12

d Le 25:10

Tweede kol.

a Le 25:15,16

b Nu 18:8,14

c Le 25:25

d Le 27:11,12
Le 27:18

e Le 25:10,28

f Eks 13:2
Nu 18:17g Eks 22:30
De 15:19

h Le 27:11-13

moet van die vasgestelde waarde afgetrek word.^e **19** Maar as die persoon wat die stuk grond as iets heiligs gegee het, dit ooit terugkoop, moet hy die vasgestelde waarde gee en 'n vyfde daarvan byvoeg, en dit sal syne bly. **20** En as hy nie die stuk grond terugkoop nie en dit aan 'n ander man verkoop word, mag dit nie meer teruggekoop word nie. **21** In die Jubeljaar sal die stuk grond iets heiligs vir Jehovah word, soos 'n stuk grond wat aan hom gewy is. Dit sal die priesters se eiendom word.^b

22 "As 'n man 'n stuk grond wat hy gekoop het en wat nie deel is van sy erfbesitting nie,^c as iets heiligs vir Jehovah gee, **23** sal die priester vir hom die waarde uitwerk op grond van die aantal jare tot die Jubeljaar, en hy moet die vasgestelde waarde op daardie dag gee.^d Dit is iets heiligs vir Jehovah. **24** In die Jubeljaar moet die stuk grond teruggegee word aan die persoon by wie hy dit gekoop het, aan die persoon aan wie die stuk grond behoort.^e

25 "Elke waardebeepaling moet volgens die standaardsikkel van die heiligdom gedoen word. Die sikkel moet 20 gera* wees.

26 "Maar niemand moet die eersgeborene van die diere as iets heiligs gee nie, aangesien dit van geboorte af Jehovah s'n is.^f Of dit nou 'n bul of 'n skaap is, dit behoort reeds aan Jehovah.^g **27** As dit onder die onrein diere is en hy dit volgens die vasgestelde waarde loskoop, moet hy die vasgestelde waarde gee en 'n vyfde daarvan byvoeg.^h As dit egter nie

27:16 *n Homer was gelyk aan 220 l. Sien Aanh. B14.

27:25 *n Gera was gelyk aan 0,57 g. Sien Aanh. B14.

teruggekoop word nie, moet dit volgens die vasgestelde waarde verkoop word.

28 “Maar niks wat ’n man uit sy besittings onvoorwaardelik aan Jehovah wy,* mag verkoop of teruggekoop word nie, of dit nou ’n mens is of ’n dier of ’n stuk grond wat hy besit. Enigiets wat gewy is, is iets besonder heiligs vir Jehovah.^a

29 Wat meer is, niemand* wat tot die dood veroordeel is, mag losgekoop word nie.^b Hy moet vir seker doodgemaak word.^c

30 “Elke tiende^d van die land behoort aan Jehovah, of dit nou van die opbrengs van die land of van die vrugte van die bome is. Dit is iets heiligs vir Je-

27:28 *Of “uit sy besittings aan Jehovah wy om vernietig te word”. **27:29** *Of “geen gewyde persoon”.

HFST. 27
 a Nu 18:8, 14
 b Nu 21:2
 c Jos 6:17
 1Sa 15:3, 18
 d Ge 14:20
 Ge 28:22
 Nu 18:21, 26
 De 14:22
 2Kr 31:5
 Ne 13:12
 Mal 3:10
 Lu 11:42
 Heb 7:5

Tweede kol.
 a Le 27:9, 10
 b Eks 3:1
 Nu 1:1

hovah. **31** As ’n man ooit enige deel van sy tiende wil terugkoop, moet hy die vasgestelde waarde gee en ’n vyfde daarvan byvoeg. **32** Wat al die tiendes van die beeste en kleinvee betref, alles wat onder die herder se staf deurgaans, die tiende dier* moet iets heiligs vir Jehovah word. **33** Hy mag nie ondersoek of dit goed of sleg is nie, en hy mag dit ook nie omruil nie. Maar as hy dit ooit probeer omruil, moet die oorspronklike dier sowel as die een wat in ruil daarvoor gegee is, iets heiligs word.^a Dit mag nie teruggekoop word nie.”

34 Dit is die gebooie wat Jehovah op die berg Si’nai aan Moses^b gegee het vir die Israëliete.

27:32 *Of “kop”.

NUMERI

OORSIG

- | | |
|--|--|
| <p>1 Registrasie van mans vir leërmag (1-46)
 Leviëte vrygestel van diens in leërmag (47-51)
 Organisasie van kamp (52-54)</p> <p>2 Kamp georganiseer in driestamgroepe (1-34)
 Juda se groep aan oostekant (3-9)
 Ruben se groep aan suidekant (10-16)
 Levi se kamp in middel (17)
 Efraim se groep aan westekant (18-24)
 Dan se groep aan noordekant (25-31)
 Getal geregistreerde mans (32-34)</p> <p>3 Aäron se seuns (1-4)
 Leviëte uitgekies om te dien (5-39)
 Eersgeborenes losgekoop (40-51)</p> | <p>4 Diens van Kehatiete (1-20)
 Diens van Gersoniete (21-28)
 Diens van Merariëte (29-33)
 Opsomming van sensus (34-49)</p> <p>5 Kwarantyn van onrein persone (1-4)
 Belydenis en vergoeding (5-10)
 Watertoets vir iemand wat van egbreuk verdink word (11-31)</p> <p>6 Gelofte van Nasireërskap (1-21)
 Priesterlike seën (22-27)</p> <p>7 Offers vir inhuldiging van tabernakel (1-89)</p> <p>8 Aäron steek die sewe lampe aan (1-4)
 Leviëte gereinig, begin dien (5-22)
 Ouderdomsbepelings vir Levitiese diens (23-26)</p> |
|--|--|

- 9 Voorsiening om Pasga later te vier (1-14)
Wolk en vuur bo tabernakel (15-23)
- 10 Die silwertrompette (1-10)
Vertrek uit Sinai (11-13)
Orde van vertrek (14-28)
Hobab gevra om 'n gids vir Israel te wees (29-34)
Moses se gebed wanneer kamp wegtrek (35, 36)
- 11 Vuur van God omdat Israeliete kla (1-3)
Volk huil en vra vir vleis (4-9)
Moses voel onbekwaam (10-15)
Jehovah gee sy gees aan 70 ouermanne (16-25)
Eldad en Medad; Josua jaloers ter wille van Moses (26-30)
Kwartels gestuur; volk gestraf vir gierigheid (31-35)
- 12 Mirjam en Aäron staan Moses teë (1-3)
Moses nederigste van alle mense (3)
Jehovah verdedig Moses (4-8)
Mirjam met melaatsheid getref (9-16)
- 13 Die 12 spioene na Kanaän gestuur (1-24)
Negatiewe verslag van tien spioene (25-33)
- 14 Volk wil na Egipte teruggaan (1-10)
Josua en Kaleb se goeie verslag (6-9)
Jehovah kwaad; Moses pleit vir Israel (11-19)
Straf: 40 jaar in wildernis (20-38)
Israel verslaan deur Amalekiete (39-45)
- 15 Wette oor offers (1-21)
Dieselfde wet vir Israeliete en uitlanders (15, 16)
Offers vir onopsetlike sondes (22-29)
Straf vir opsetlike sondes (30, 31)
Man wat Sabbat breek, doodgemaak (32-36)
Klere moet fraiingrande hê (37-41)
- 16 Opstand van Korag, Datan en Abiram (1-19)
Oordeel oor opstandiges (20-50)
- 17 Aäron se staf met bloeisels dien as teken (1-13)
- 18 Pligte van priesters en Leviete (1-7)
Voorsienings vir priesters (8-19)
Soutverbond (19)
Leviete moet 'n tiende ontvang en gee (20-32)
- 19 Rooi koei en reinigingswater (1-22)
- 20 Mirjam sterf by Kades (1)
Moses slaan rots en sondig (2-13)
Edom weier om Israel te laat deurtrek (14-21)
Aäron sterf (22-29)
- 21 Koning van Arad verslaan (1-3)
Koperslang (4-9)
Israel trek om Moab (10-20)
Koning Sihon van Amoriëte verslaan (21-30)
Koning Og van Amoriëte verslaan (31-35)
- 22 Balak kry Bileam om hom te help (1-21)
Bileam se donkie praat (22-41)
- 23 Bileam se 1ste profetiese boodskap (1-12)
Bileam se 2de profetiese boodskap (13-30)
- 24 Bileam se 3de profetiese boodskap (1-11)
Bileam se 4de profetiese boodskap (12-25)
- 25 Israel se sonde met Moabitiese vrouens (1-5)
Pinehas tree op (6-18)
- 26 Tweede sensus van Israel se stamme (1-65)
- 27 Dogters van Selofhad (1-11)
Josua aangestel as Moses se opvolger (12-23)
- 28 Prosedure vir verskeie offers (1-31)
Daaglikse offers (1-8)
Vir Sabbat (9, 10)
Maandelikse offers (11-15)
Vir Pasga (16-25)
Vir Fees van Weke (26-31)
- 29 Prosedure vir verskeie offers (1-40)
Dag waarop trompette geblaas is (1-6)

- Versoendag (7-11)
Hutfees (12-38)
- 30 Geloftes deur mans (1, 2)
Geloftes deur vrouens en
dogters (3-16)
- 31 Wraak op Midian (1-12)
Bileam doodgemaak (8)
Instruksies oor oorlogsbuit (13-54)
- 32 Gebiede oos van Jordaan (1-42)
- 33 Israel se roete deur wildernis (1-49)

- Instruksies oor verowering van
Kanaän (50-56)
- 34 Grense van Kanaän (1-15)
Manne aangestel om land te
verdeel (16-29)
- 35 Stede vir Leviete (1-8)
Vrystede (9-34)
- 36 Huwelikswet vir vroulike
erfgename (1-13)

1 En Jehovah het met Moses in die wildernis Si'nai gepraat,^a in die tent van samekoms,^b op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar ná hulle uittoeg uit Egipte.^c Hy het gesê: **2** "Neem 'n sensus op^d van die hele gemeenskap van Israel. Tel al die mans een vir een, volgens hulle families, volgens hulle vaderhuise, volgens die getal van hulle name. **3** Jy en Aäron moet almal van 20 jaar en ouer^e wat in die leërmag van Israel kan dien, volgens afdelings* registreer.

4 "Neem een man van elke stam saam met jou. Elkeen moet 'n hoof van sy vaderhuis wees.^f **5** Dít is die name van die manne wat by julle sal staan: van Ruben: Eli'sur,^g die seun van Sede'ür; **6** van Si'meon: Selu'miël,^h die seun van Suri'saddai; **7** van Juda: Nagson,ⁱ die seun van Ammina'dab; **8** van Is'saskar: Neta'nel,^j die seun van Suar; **9** van Se'bulon: Eli'ab,^k die seun van Helon; **10** van die seuns van Josef: van E'fraim: Elisa'ma, die seun van Ammi'hud; van Manas'se: Gama'liël, die seun van Peda'sur; **11** van Benja-

1:3 *Lett. "volgens hulle leërmagte".

- HFST. 1
a Eks 19:1
Han 7:38
b Eks 25:22
c Eks 40:17
d Eks 30:12
e Eks 30:14
f Eks 18:25
Nu 1:16
Jos 22:13, 14
Jos 23:2
1Kr 27:1
g Nu 2:10
h Nu 7:11, 36
i Rut 4:20
Lu 3:23, 32
j Nu 10:15
k Nu 7:11, 24
l Ge 48:20

Tweede kol.

- a Nu 2:22
b Nu 7:11, 66
c Nu 7:11, 72
d Nu 2:14
Nu 7:11, 42
Nu 10:20
e Nu 2:29
Nu 10:27
f Eks 18:21
Nu 7:2
g De 1:15
h Eks 30:14
i Nu 26:1, 2
j Ge 29:32
Nu 2:10, 11

min: Abi'dan,^a die seun van Gi-deo'ni; **12** van Dan: Ahiëser,^b die seun van Ammi'saddai; **13** van Aser: Pa'giël,^c die seun van Ogran; **14** van Gad: Elja'saf,^d die seun van De'huel; **15** van Naf'tali: Ahi'ra,^e die seun van Enan. **16** Dit is die manne wat uit die gemeenskap van Israel gekies is. Hulle is die hoofmanne^f van die stamme van hulle vaders, die hoofde van die duisende van Israel."^g

17 Toe het Moses en Aäron hierdie manne geneem wat by naam aangewys is. **18** Hulle het die hele gemeenskap van Israel op die eerste dag van die tweede maand bymekaar laat kom, sodat die mans van 20 jaar en ouer een vir een by naam geregistreer kon word,^h volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis, **19** net soos Jehovah Moses beveel het. So het hy hulle in die wildernis Si'nai geregistreer.ⁱ

20 Die seuns van Ruben, die nakomelinge van Israel se eersgeborene,^j is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **21** en die getal mans wat

van die stam van Ruben geregistreer is, was 46 500.

22 Die nakomelinge van Si'meon^a is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **23** en die getal mans wat van die stam van Si'meon geregistreer is, was 59 300.

24 Die nakomelinge van Gad^b is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **25** en die getal mans wat van die stam van Gad geregistreer is, was 45 650.

26 Die nakomelinge van Juda^c is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **27** en die getal mans wat van die stam van Juda geregistreer is, was 74 600.

28 Die nakomelinge van Is'saskar^d is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **29** en die getal mans wat van die stam van Is'saskar geregistreer is, was 54 400.

30 Die nakomelinge van Se'bulon^e is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **31** en die getal mans wat van die stam van Se'bulon geregistreer is, was 57 400.

32 Die nakomelinge van Josef deur E'fraim^f is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien,

HFST. 1

a Ge 29:33
Ge 46:10
Nu 2:12, 13

b Ge 30:10, 11
Ge 46:16
Nu 2:14, 15

c Ge 29:35
Ge 46:12
Nu 2:3, 4
1Kr 5:2
Mt 1:2
Heb 7:14

d Ge 30:17, 18
Ge 46:13
Nu 2:5, 6

e Ge 30:20
Nu 2:7, 8

f Ge 41:51, 52
Ge 46:20
Ge 48:17-19
Nu 2:18, 19

Tweede kol.

a Nu 2:20, 21

b Ge 43:29
Ge 46:21
Nu 2:22, 23

c Ge 30:4-6
Ge 46:23
Nu 2:25, 26
Nu 10:25

d Ge 35:26
Nu 2:27, 28

e Ge 30:7, 8
Ge 46:24
Nu 2:29, 30
Nu 26:48

is getel, **33** en die getal mans wat van die stam van E'fraim geregistreer is, was 40 500.

34 Die nakomelinge van Manas'se^a is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **35** en die getal mans wat van die stam van Manas'se geregistreer is, was 32 200.

36 Die nakomelinge van Benjamin^b is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **37** en die getal mans wat van die stam van Benjamin geregistreer is, was 35 400.

38 Die nakomelinge van Dan^c is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **39** en die getal mans wat van die stam van Dan geregistreer is, was 62 700.

40 Die nakomelinge van Aser^d is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **41** en die getal mans wat van die stam van Aser geregistreer is, was 41 500.

42 Die nakomelinge van Naf'tali^e is by naam geregistreer, volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. Al die mans van 20 jaar en ouer wat in die leërmag kon dien, is getel, **43** en die getal mans wat van die stam van Naf'tali geregistreer is, was 53 400.

44 Dit is die mans wat geregistreer is deur Moses, Aäron en die 12 hoofmanne van Israëel. Elke hoofman het sy vaderhuis verteenwoordig. **45** Al

die Israeliete van 20 jaar en ouer wat in die leërmag van Israel kon dien, is volgens hulle vaderhuis geregistreer, **46** en al die mans wat geregistreer is, was altesaam 603 550.^a

47 Maar die Leviete^b is nie saam met hulle volgens die stam van hulle vaders geregistreer nie.^c **48** Jehovah het vir Moses gesê: **49** "Slegs die stam van Levi mag jy nie registreer nie, en jy mag nie die getal Leviete by die res van die Israeliete insluit nie.^d **50** Jy moet die Leviete oor die tabernakel van die Getuienis^e aanstel en oor al sy voorwerpe en oor alles wat daarby behoort.^f Hulle sal die tabernakel en al sy voorwerpe dra,^g en hulle sal daar dien^h en sal rondom die tabernakel kamp opslaan.ⁱ **51** Wanneer die tabernakel verskuif moet word, moet die Leviete dit afbreek.^j En wanneer die tabernakel weer opgeslaan moet word, moet die Leviete dit doen. Enigiemand anders* wat nader kom, moet doorgemaak word.^k

52 "Elke Israeliet moet sy tent opslaan in die kamp waar hy toegewys is, elke man volgens sy driestamgroep,^l volgens hulle afdelings.^m **53** Die Leviete moet rondom die tabernakel van die Getuienis kamp opslaan, sodat ek nie woedend word vir die gemeenskap van Israel nie.ⁿ En dit is die Leviete se verantwoordelikheid om na die tabernakel van die Getuienis om te sien."^o

54 Die volk Israel het gedoen volgens alles wat Jehovah Mo-

1:51 *Lett. "Enige vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie 'n Leviet is nie. 1:52 *Of "elke man by sy banier". 1:52; 2:3, 10 #Lett. "leërmagte". 1:53 *Of "om die tabernakel van die Getuienis te bewaak; om hulle diens by die tabernakel van die Getuienis te verrig".

HFST. 1

- a Ge 13:16
Ge 22:17
Ge 46:3
Eks 38:26
Nu 2:32
b Ge 29:34
Ge 46:11
Nu 3:12
c Nu 2:33
Nu 26:63, 64
d Nu 26:62, 63
e Eks 31:18
f Eks 38:21
Nu 3:6, 8
g Nu 4:15
Nu 4:24-26
Nu 4:31-33
h Nu 3:30, 31
Nu 4:12
i Nu 2:17
Nu 3:23, 29
Nu 3:35, 38
j Nu 10:17, 21
k Nu 3:10
Nu 18:22
l Nu 2:2, 34
m Nu 8:19
Nu 18:5
n Nu 8:24
Nu 18:2, 3
1Kr 23:32

Tweede kol.

HFST. 2

- a Nu 1:52
b Nu 7:12
Nu 10:14
Rut 4:20
Mt 1:4
c Nu 1:27
d Nu 7:11, 18
Nu 10:15
e Nu 1:29
f Nu 7:11, 24
Nu 10:16
g Nu 1:31
h Nu 10:14
i Nu 1:20
j Nu 7:11, 30
Nu 10:18
k Nu 1:21
l Nu 7:11, 36
Nu 10:19
m Nu 1:23
n Nu 7:11, 42
Nu 10:20

ses beveel het. Hulle het net so gedoen.

2 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: **2** "Die Israeliete moet kamp opslaan, elkeen op die plek wat vir sy driestamgroep^a gekies is, naby die banier* van sy vaderhuis. Hulle moet rondom die tent van samekoms kamp opslaan.

3 "Die driestamgroep van die kamp van Juda sal aan die oostekant, aan die kant waar die son opkom, volgens hulle afdelings^b kamp opslaan. Die hoofman van die kinders van Juda is Nagson,^b die seun van Amminadab. **4** Daar is 74 600 in sy leërmag geregistreer.^c **5** Die stam van Is'saskar sal langs hom kamp opslaan. Die hoofman van die kinders van Is'saskar is Neta'nel,^d die seun van Suar. **6** Daar is 54 400 in sy leërmag geregistreer.^e **7** Se'bulon is die volgende stam. Die hoofman van die kinders van Se'bulon is Eli'ab,^f die seun van Helon. **8** Daar is 57 400 in sy leërmag geregistreer.^g

9 "Daar is altesaam 186 400 in die leërmagte van die kamp van Juda geregistreer. Hulle moet eerste wegtrek.^h

10 "Die driestamgroep van die kamp van Rubenⁱ volgens hulle afdelings^j sal aan die suidkant wees. Die hoofman van die kinders van Ruben is Eli'sur,^j die seun van Sede'ur. **11** Daar is 46 500 in sy leërmag geregistreer.^k **12** Die stam van Si'meon sal langs hom kamp opslaan. Die hoofman van die kinders van Si'meon is Selu'miël,^l die seun van Suri'saddai. **13** Daar is 59 300 in sy leërmag geregistreer.^m **14** Gad is die volgende stam. Die hoofman van die kinders van Gad is Elja'saf,ⁿ die

2:2 *Of "teken".

seun van Re'huel. **15** Daar is 45 650 in sy leërmag geregistreer.^a

16 "Daar is altesaam 151 450 in die leërmagte van die kamp van Ruben geregistreer, en hulle moet tweede wegtrek.^b

17 "Wanneer die tent van samekoms verskuif word,^c moet die kamp van die Leviete in die middel van die ander kampe wees.

"Hulle moet in dieselfde volgorde reis as wat hulle kamp opslaan,^d elkeen op sy plek, volgens hulle driestamgroepe.

18 "Die driestamgroep van die kamp van E'fraim volgens hulle afdelings* sal aan die westekant wees. Die hoofman van die kinders van E'fraim is Elisa'ma,^e die seun van Ammi'hud.

19 Daar is 40 500 in sy leërmag geregistreer.^f **20** Die stam van Manas'se^g sal langs hom wees. Die hoofman van die kinders van Manas'se is Gama'liël,^h die seun van Peda'sur. **21** Daar is 32 200 in sy leërmag geregistreer.ⁱ **22** Benjamin is die volgende stam. Die hoofman van die kinders van Benjamin is Abi'dan,^j die seun van Gideo'ni. **23** Daar is 35 400 in sy leërmag geregistreer.^k

24 "Daar is altesaam 108 100 in die leërmagte van die kamp van E'fraim geregistreer, en hulle moet derde wegtrek.^l

25 "Die driestamgroep van die kamp van Dan volgens hulle afdelings* sal aan die noordekant wees. Die hoofman van die kinders van Dan is Ahiëser,^m die seun van Ammi'saddai. **26** Daar is 62 700 in sy leërmag geregistreer.ⁿ **27** Die stam van Aser sal langs hom kamp opslaan. Die hoofman van die kinders van Aser is Pa'giël,^o die

2:18, 25 *Lett. "leërmagte".

HFST. 2

- a Nu 1:25
- b Nu 10:18
- c Nu 1:51
- d 1Kor 14:33, 40
- e Nu 7:11, 48
Nu 10:22
- f Nu 1:33
- g Ge 48:20
- h Nu 7:11, 54
Nu 10:23
- i Nu 1:35
- j Nu 7:11, 60
Nu 10:24
- k Nu 1:37
- l Nu 10:22
- m Nu 7:11, 66
Nu 10:25
- n Nu 1:39
- o Nu 7:11, 72
Nu 10:26

Tweede kol.

- a Nu 1:41
- b Nu 7:11, 78
Nu 10:27
- c Nu 1:43
- d Nu 10:25
- e Ge 15:5
Eks 38:26
Nu 1:46
Nu 14:29
Nu 26:51, 64
- f Nu 1:47
Nu 3:15
Nu 26:62, 63
- g Nu 2:2
- h Nu 10:28

HFST. 3

- i Eks 19:2
- j Le 10:1
1Kor 24:2
- k Eks 6:25
De 10:6
- l Eks 6:23
Eks 38:21
1Kor 6:3
- m Eks 28:1
Le 8:2, 3
- n Le 10:1, 2
- o Nu 3:32
Nu 20:26
- p Nu 4:28
Nu 7:8

seun van Ogran. **28** Daar is 41 500 in sy leërmag geregistreer.^a **29** Naf'tali is die volgende stam. Die hoofman van die kinders van Naf'tali is Ahi'ra,^b die seun van Enan. **30** Daar is 53 400 in sy leërmag geregistreer.^c

31 "Daar is altesaam 157 600 in die kamp van Dan geregistreer. Hulle moet laaste onder die driestamgroepe van Israel wegtrek."^d

32 Dit was die Israeliete wat volgens hulle vaderhuisse geregistreer is. Daar was altesaam 603 550 in die kampe wat vir die leërmag geregistreer is.^e

33 Maar die Leviete is nie saam met die ander Israeliete geregistreer nie,^f net soos Jehovah Moses beveel het. **34** Die Israeliete het alles gedoen wat Jehovah Moses beveel het. Dit is hoe hulle volgens hulle driestamgroepe kamp opgeslaan het^g en hoe hulle weggetrek het,^h elkeen volgens sy familie en volgens sy vaderhuis.

3 Dit is die nageslag* van Aäron en van Moses in die tyd toe Jehovah met Moses op die berg Si'naiⁱ gepraat het. **2** Die name van Aäron se seuns was Nadab (die eersgeborene), Abi'hu,^j Elea'sar^k en I'tamar.^l **3** Dit was die name van Aäron se seuns, die gesalfde priesters wat ingehuldig is* om as priesters te dien.^m **4** Nadab en Abi'hu het egter voor Jehovah gesterf toe hulle in die wildernis Si'nai onwettige vuur voor Jehovah geoffer het,ⁿ en hulle het geen kinders gehad nie. Maar Elea'sar^o en I'tamar^p het voortgegaan om saam met hulle pa, Aäron, as priesters te dien.

5 Jehovah het toe vir Moses gesê: **6** "Laat die stam van

3:1 *Lett. "die geslagte". 3:3 *Lett. "wie se hande gevul is".

Levi^a nader kom, en laat hulle voor die priester Aäron staan, en hulle moet voor hom dien.^b

7 Hulle moet hulle verantwoordelikhede teenoor hom en teenoor die hele gemeenskap van Israel voor die tent van samekoms nakom deur hulle diens in verband met die tabernakel te verrig. **8** Hulle moet na al die toerusting^c van die tent van samekoms omsien en hulle verantwoordelikhede teenoor die Israeliete nakom deur die dienste in verband met die tabernakel te verrig.^d **9** Jy moet die Leviete aan Aäron en sy seuns gee. Hulle word aan hom gegee as gawes onder die Israeliete.^e **10** Jy moet Aäron en sy seuns aanstel, en hulle moet hulle priesterlike pligte uitvoer.^f Enigiemand anders* wat nader kom, moet doodgemaak word.^g

11 Jehovah het verder vir Moses gesê: **12** "Kyk! Ek neem die Leviete onder die Israeliete uit in die plek van al die eersgeborenes* van die Israeliete,^h en die Leviete sal myne word. **13** Want elke eersgeborene is myne.ⁱ Op die dag toe ek elke eersgeborene in Egipte getref het,^j het ek elke eersgeborene in Israel vir my geheilig, mens sowel as dier.^k Hulle moet myne word. Ek is Jehovah."

14 Jehovah het verder vir Moses in die wildernis Si'nai gesê: **15** "Registreeer die seuns van Levi volgens hulle vaderhuis en volgens hulle familie. Jy moet elke manlike persoon van 'n maand en ouer registreer."^m **16** Moses het hulle toe op bevel van Jehovah geregistreeer, net soos hy beveel is. **17** Dit

3:10 *Lett. "Enige vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie deel is van Aäron se familie nie. **3:12** *Lett. "van elke eersgeborene wat die baarmoeder open".

HFST. 3

a Nu 8:6
Nu 18:2

b Nu 1:50
Nu 8:11

c Nu 4:12

d Nu 1:51

e Nu 8:15, 16
Nu 18:6

f Eks 40:15
Nu 18:7

g Nu 16:39, 40
1Sa 6:19
2Kr 26:16, 18

h Nu 3:41, 45

i Eks 13:2
Eks 34:19
Nu 18:15
Lu 2:23

j Eks 13:15

k Le 27:26

l Eks 19:1

m Nu 3:39

Tweede kol.

a Eks 6:16
Nu 26:57
1Kr 23:6

b Eks 6:17

c Eks 6:18

d 1Kr 6:29

e Eks 6:19

f 1Kr 6:20

g Nu 4:38-40

h Nu 1:53

i Nu 4:24-26

j Eks 26:7

k Eks 26:14

l Eks 26:36

m Eks 27:9

n Eks 27:16

o Nu 3:19

was die name van die seuns van Levi: Gerson, Kehat en Mera'ri.^a

18 En dit was die name van die seuns van Gerson volgens hulle families: Libni en Si'meï.^b

19 Die seuns van Kehat volgens hulle families was Amram, Jishar, He'bron en Us'siël.^c

20 Die seuns van Mera'ri volgens hulle families was Magli^d en Musi.^e

Dit was die families van die Leviete volgens hulle vaderhuis.

21 Die afstammeling van Gerson was die familie van die Libniete^f en die familie van die Simeïete. Dit was die families van die Gersoniete. **22** Die getal van al die manlike persone van 'n maand en ouer wat uit hierdie families geregistreeer is, was 7 500.^g **23** Die families van die Gersoniete het agter die tabernakel,^h aan die westekant, kamp opgeslaan. **24** Die hoofman van die vaderhuis van die Gersoniete was Elja'saf, die seun van Lael. **25** Die verantwoordelikheid van die seuns van Gersonⁱ in die tent van samekoms was om na die tabernakel om te sien, sowel as na die tent,^j sy bedekking,^k die skerm^{*j} vir die ingang van die tent van samekoms, **26** die hangende gordyne^m van die voorhof, die skerm^{*n} vir die ingang van die voorhof wat rondom die tabernakel en die altaar is, sy tentoue en al die dienste wat daarmee verband hou.

27 Die afstammeling van Kehat was die familie van die Amramiete, die familie van die Jishariete, die familie van die Hebroniete en die familie van die Ussiëliete. Dit was die families van die Kehatiete.^o **28** Die getal van al die manlike persone

3:25, 26 *Of "gordyn".

van 'n maand en ouer was 8 600. Hulle het die verantwoordelikheid gehad om na die heiligdom om te sien.^a **29** Die families van die seuns van Kehat het aan die suidekant van die tabernakel kamp opgeslaan.^b **30** Die hoofman van die vaderhuis van die Kehatiete was Eli'safan, die seun van Us'siël.^c **31** Hulle verantwoordelikheid was om na die Ark^d om te sien, sowel as na die tafel,^e die lampstander,^f die altare,^g die voorwerpe^h wat vir die diens in die heiligdom gebruik is, die skerm^{*i} en al die dienste wat daarmee verband hou.^j

32 Die hoof van die hoofmanne van die Leviete was Elea'sar,^k die seun van die priester Aäron. Hy het toesig gehou oor dié wat verantwoordelikhede by die heiligdom gehad het.

33 Die afstammeling van Mera'ri was die familie van die Magliete en die familie van die Musiete. Dit was die families van Mera'ri.^l **34** Die getal van al die manlike persone van 'n maand en ouer wat geregistreer is, was 6 200.^m **35** Die hoofman van die vaderhuis van Mera'ri was Su'riël, die seun van Abi'hail. Hulle het aan die noordekant van die tabernakel kamp opgeslaan.ⁿ **36** Die seuns van Mera'ri was verantwoordelik vir die paneelrame^o van die tabernakel, sy stawe,^p sy pilare,^q sy voetstukke, al sy voorwerpe^r en al die dienste wat daarmee verband hou,^s **37** sowel as die pilare wat rondom die voorhof was en hulle voetstukke,^t hulle tentpenne en hulle tentoue.

38 Moses, Aäron en die seuns van Aäron het kamp opgeslaan voor die tabernakel, aan die oostekant, voor die tent

3:31 *Of "gordyn".

HFST. 3

a Nu 4:34-36

b Nu 1:53

c Eks 6:22
1Kr 6:18

d Eks 25:10

e Eks 25:23

f Eks 25:31

g Eks 27:1, 2
Eks 30:1-3

h Eks 38:3

i Eks 26:31

j Nu 4:15

k Nu 4:16
Nu 20:28

l Nu 3:20
Nu 26:58

m Nu 4:42-44

n Nu 1:53

o Eks 36:20

p Eks 36:31

q Eks 26:32, 37
Eks 36:37, 38

r Eks 27:19

s Nu 4:31, 32

t Eks 27:10, 11

Tweede kol.

a Nu 3:10

b Nu 3:15

c Nu 3:12

d Eks 13:2
Nu 18:15

e Nu 18:15

f Nu 3:39, 43

g Nu 18:15, 16

van samekoms, aan die kant waar die son opkom. Hulle het die verantwoordelikheid gehad om na die heiligdom om te sien as hulle verpligting namens die Israeliete. Enigiemand anders* wat nader gekom het, sou doodgemaak word.^a

39 Al die manlike Leviete van 'n maand en ouer wat Moses en Aäron op bevel van Jehovah volgens hulle families geregistreer het, was 22 000.

40 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Registreer al die manlike eersgeborenes van die Israeliete van 'n maand en ouer.^b Tel hulle en stel 'n lys op van hulle name. **41** Jy moet die Leviete vir my neem. Ek is Jehovah. Neem hulle in die plek van al die eersgeborenes van die Israeliete,^c en neem die vee van die Leviete in die plek van al die eersgebore vee van die Israeliete."^d **42** Moses het toe al die eersgeborenes onder die Israeliete geregistreer, net soos Jehovah hom beveel het. **43** Die getal van al die manlike eersgeborenes van 'n maand en ouer wat by naam geregistreer is, was 22 273.

44 Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **45** "Neem die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die Israeliete, en neem die Leviete se vee in die plek van die Israeliete se vee, en die Leviete moet myne word. Ek is Jehovah. **46** As 'n losprys^e vir die 273 eersgeborenes van die Israeliete wat meer is as die aantal Leviete,^f **47** moet jy vyf sikkels* per persoon neem,^g volgens die standaardsikkel van

3:38 *Lett. "Enige vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie 'n Leviet is nie. 3:47 *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

die heiligdom.* 'n Sikkel is 20 gera.^{#a} **48** Jy moet die geld vir Aäron en sy seuns gee as die losprys vir die Israeliete wat meer is as die aantal Leviete." **49** Toe het Moses die geld van die loskoopprys geneem vir die Israeliete wat meer was as die aantal Leviete. **50** Hy het die geld geneem vir die eersgeborenes van die Israeliete, 1 365 sikkels, volgens die standaardsikkel van die heiligdom. **51** Toe het Moses die geld van die losprys vir Aäron en sy seuns gegee volgens die woord* van Jehovah, net soos Jehovah Moses beveel het.

4 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: **2** "n Sensus moet opgeneem word van die seuns van Kehat,^b uit die seuns van Levi, volgens hulle families en volgens hulle vaderhuse, **3** almal wat tussen 30^c en 50 jaar oud is^d en wat in die groep is wat toegewys is om in die tent van samekoms te werk.^e

4 "Dit is die diens van die seuns van Kehat in die tent van samekoms.^f Dit is iets besonder heiligs: **5** Aäron en sy seuns moet ingaan wanneer die kamp optreek en die gordyn* wat as 'n skerm dien,^g afhaal en die ark^h van die Getuienis daarmee bedek. **6** Hulle moet 'n bedekking van robbevelle daaroor sit en 'n blou doek daaroor gooi en die pale waarmee dit gedra word,ⁱ in posisie plaas.

7 "Hulle moet ook 'n blou doek gooi oor die tafel vir die offerbrode,^j en hulle moet die skottels, die bekere, die bakke en die kanne van die drankoffer daarop neersit.^k Die brode wat gereeld geoffer word,^l moet

3:47 *Of "volgens die heilige sikkel".
#n Gera was gelyk aan 0,57 g. Sien Aanb. B14. 3:51 *Lett. "mond". 4:5
*Of "voorhangsel".

HFST. 3

a Le 27:25

HFST. 4

b Nu 3:19, 27

c 1Kr 23:3
Lu 3:23

d Nu 8:25, 26

e Nu 4:30
1Kr 6:48f Nu 3:30, 31
Nu 4:15g Eks 26:31
Eks 40:3
Le 16:2

h Eks 25:10

i Eks 25:13

j Eks 25:23, 24

k Eks 25:29

l Le 24:5, 6

Tweede kol.

a Eks 25:28

b Eks 25:31

c Eks 25:37

d Eks 25:38

e Eks 30:1
Eks 37:25, 26

f Eks 30:5

g Nu 3:30, 31

h Le 6:12

i Eks 27:3

j Eks 27:6

k Nu 4:5

l Nu 7:6-9
1Kr 15:2

m 2Sa 6:6, 7

daarop bly. **8** Hulle moet 'n helderrooi doek daaroor gooi en 'n bedekking van robbevelle daaroor sit en die pale waarmee dit gedra word,^a in posisie plaas. **9** Dan moet hulle 'n blou doek neem en die lampstaander^b en sy lampe^c bedek, sowel as sy snuiters,^{*} sy vuurbakkies^d en al die oliehoers wat vir die lampstaander gebruik word. **10** Hulle moet die lampstaander en al sy voorwerpe in 'n bedekking van robbevelle toedraai en dit op 'n draagbaar sit. **11** En hulle moet 'n blou doek oor die goue altaar^e gooi, 'n bedekking van robbevelle daaroor sit en die pale waarmee dit gedra word,^f in posisie plaas. **12** Hulle moet dan al die voorwerpe^g neem waarmee hulle gereeld in die heiligdom diens verrig en dit in 'n blou doek sit en met 'n bedekking van robbevelle bedek en dit op 'n draagbaar sit.

13 "Hulle moet die as* van die altaar^h verwyder en 'n doek van pers wol oor die altaar gooi. **14** Hulle moet al die voorwerpe daarop sit wat gebruik word wanneer hulle by die altaar dien: die vuurbakke, die vurke, die grawe en die bakke, al die voorwerpe van die altaar;ⁱ en hulle moet 'n bedekking van robbevelle daaroor sit en die pale waarmee dit gedra word,^j in posisie plaas.

15 "Wanneer die kamp optreek, moet Aäron en sy seuns die heiligdom en al die toerusting van die heiligdom bedek.^k Wanneer hulle klaar is, moet die seuns van Kehat inkom om dit te dra,^l maar hulle mag nie aan die heiligdom raak nie, anders sal hulle sterf.^m Hierdie dinge

4:9 *Of "tange". 4:13 *Of "vetterige as", d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdrink is.

is die verantwoordelikheid* van die seuns van Kehat in verband met die tent van samekoms.

16 "Elea'sar,^a die seun van die priester Aäron, is verantwoordelik vir die olie vir die lampstaander,^b die geurige reukwerk,^c die gereelde graanoffer en die salfolie.^d Hy hou toesig oor die hele tabernakel en alles wat daarin is, insluitende die heiligdom en sy voorwerpe."

17 Jehovah het verder met Moses en Aäron gepraat en gesê: **18** "Moenie toelaat dat die stam van die families van die Kehatiete^e onder die Leviete uitgeroei word nie. **19** Maar doen die volgende vir hulle, sodat hulle kan bly lewe en nie sterf omdat hulle naby die besonder heilige dinge kom nie:^f Aäron en sy seuns moet ingaan, en hulle moet elke wys wat hy moet doen en wat hy moet dra. **20** Die Kehatiete mag nie ingaan in die heilige dinge selfs net vir 'n oomblik sien nie, anders sal hulle sterf."^g

21 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **22** "'n Sensus moet opgeneem word van die seuns van Gerson^h volgens hulle vaderhuise en volgens hulle families. **23** Jy moet almal registreer wat tussen 30 en 50 jaar oud is en wat in die groep is wat toegewys is om in die tent van samekoms te dien. **24** Die families van die Gersoniete is verantwoordelik vir die vervoer van die volgende dinge:ⁱ **25** Hulle moet die tentdoeke van die tabernakel^j dra, sowel as die tent van samekoms, sy bedekking en die bedekking van robbevelle wat bo-oor kom,^k die skerm* vir die ingang van die tent van samekoms,^l **26** die

4:15 *Lett. "vrag". 4:25, 26 *Of "gordyn".

HFST. 4

a Nu 3:32

b Eks 27:20

c Eks 30:34, 35

d Eks 30:23-25

e Nu 3:27

f Nu 4:4

g Eks 19:21
1Sa 6:19

h Nu 3:21

i Nu 3:25, 26

j Eks 26:1

k Eks 26:7, 14

l Eks 26:36

Tweede kol.

a Eks 27:9

b Eks 27:16

c Nu 3:21, 23

d Nu 3:25, 26

e Eks 6:23
Nu 4:33
Nu 7:8

f Eks 6:19
Nu 3:33

g Nu 3:36, 37

h Eks 26:15

i Eks 26:26

j Eks 26:37
Eks 36:38

k Eks 26:19
Eks 38:27

l Eks 27:10

m Eks 27:11

n Eks 27:19

o Nu 3:33

p Nu 4:28

q Nu 1:16

r Nu 3:19, 27

hangende gordyne van die voorhof,^a die skerm* vir die ingang van die voorhof^b wat rondom die tabernakel en die altaar is, hulle tenttoue en al hulle voorwerpe en alles wat in die diens daar gebruik word. Dit is hulle toewysing. **27** Aäron en sy seuns moet toesig hou oor al die dienste en die vragte van die Gersoniete.^c Julle moet al hierdie vragte aan hulle toewys, en dit sal hulle verantwoordelikheid wees. **28** Dit is die diens wat die families van die Gersoniete in die tent van samekoms moet verrig,^d en hulle verantwoordelikhede val onder die toesig van I'tamar,^e die seun van die priester Aäron.

29 "Wat die seuns van Mera'ri^f betref, jy moet hulle registreer volgens hulle familie en volgens hulle vaderhuis. **30** Jy moet almal registreer wat tussen 30 en 50 jaar oud is en wat in die groep is wat toegewys is om die diens in verband met die tent van samekoms te verrig. **31** Hulle het die verantwoordelikheid om die volgende dinge in verband met hulle diens by die tent van samekoms te dra:^g die paneelrame^h van die tabernakel, sy stawe,ⁱ sy pilare,^j sy voetstukke;^k **32** die pilare^l van die voorhof wat rondom die tabernakel is, hulle voetstukke,^m hulle tentpenneⁿ en hulle tenttoue met al die toerusting en alles wat gebruik word in die diens wat daarmee verband hou. Julle moet vir elkeen sê watter toerusting hy moet dra. **33** Dit is hoe die families van die seuns van Mera'ri^o by die tent van samekoms moet dien onder die toesig van I'tamar, die seun van die priester Aäron."^p

34 Moses, Aäron en die hoofmanne^q van die gemeenskap van Israel het die seuns van die Kehatiete^r toe geregistreer

volgens hulle families en volgens hulle vaderhuis, **35** almal tussen 30 en 50 jaar oud wat in die groep was wat toegewys is om die diens in verband met die tent van samekoms te verrig.^a **36** Dié wat volgens hulle families geregistreer is, was altesaam 2 750.^b **37** Hulle is die geregistreerdes uit die families van die Kehatiete, almal wat by die tent van samekoms gedien het. Moses en Aäron het hulle geregistreer volgens die bevel wat Jehovah deur middel van Moses gegee het.^c

38 Die seuns van Gerson^d is geregistreer volgens hulle families en volgens hulle vaderhuis, **39** almal tussen 30 en 50 jaar oud wat in die groep was wat die toewysing gehad het om by die tent van samekoms te dien. **40** Dié wat volgens hulle families en volgens hulle vaderhuis geregistreer is, was altesaam 2 630.^e **41** Dit was die registrasie van die families van die seuns van Gerson, almal wat by die tent van samekoms gedien het. Moses en Aäron het hulle op bevel van Jehovah geregistreer.^f

42 Die seuns van Mera'ri is geregistreer volgens hulle families en volgens hulle vaderhuis, **43** almal tussen 30 en 50 jaar oud wat in die groep was wat die toewysing gehad het om by die tent van samekoms te dien.^g **44** Dié wat volgens hulle families geregistreer is, was altesaam 3 200.^h **45** Dit was die registrasie van die families van die seuns van Mera'ri, wat Moses en Aäron geregistreer het volgens die bevel wat Jehovah deur middel van Moses gegee het.ⁱ

46 Moses en Aäron en die hoofmanne van Israel het al hierdie Leviete volgens hulle fa-

HFST. 4
a Nu 4:47
Nu 8:25, 26
b Nu 3:27, 28
c Nu 3:15
d Nu 3:21
e Nu 3:21, 22
f Nu 4:22, 23
g Nu 8:25, 26
h Nu 3:33, 34
i Nu 4:29
Tweede kol.
a Nu 4:15
Nu 4:24-26
Nu 4:31-33
b Nu 3:39
HFST. 5
c Le 13:45, 46
d Le 15:2
e Le 22:4
Nu 19:11
f Eks 25:8
Le 26:11
g Nu 19:22
h Le 5:1, 17
i Le 5:5
Jos 7:19
Jak 5:16
j Le 6:4, 5

milies en volgens hulle vaderhuise geregistreer. **47** Hulle was tussen 30 en 50 jaar oud, en almal is toegewys om diens te verrig en vragte te dra in verband met die tent van samekoms.^a **48** Dié wat geregistreer is, was altesaam 8 580.^b **49** Hulle is geregistreer volgens die bevel wat Jehovah deur middel van Moses gegee het, elkeen volgens sy toegewese diens en sy vrag. Hulle is geregistreer net soos Jehovah Moses beveel het.

5 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Beveel die Israëliete om elke melaatse^c en elkeen wat 'n afskeiding het^d en elkeen wat deur middel van 'n dooie persoon* onrein geword het,^e uit die kamp uit te stuur. **3** Hetsy 'n man of 'n vrou, julle moet hulle uitstuur. Julle moet hulle uit die kamp uitstuur, sodat hulle nie die kampe van die volk onder wie ek woon,^f besmet nie."^g **4** Die Israëliete het dit dus gedoen en hulle uit die kamp uitgestuur. Net soos Jehovah vir Moses gesê het, so het die Israëliete gedoen.

5 Jehovah het verder vir Moses gesê: **6** "Sê vir die Israëliete: 'As 'n man of 'n vrou enige sonde van die mensdom pleeg en ontrou is aan Jehovah, het dié persoon skuldig geword.^h **7** Hy moet die sonde wat hy gepleeg het, belyⁱ en die volle bedrag teruggee as vergoeding vir sy skuld, en hy moet ook 'n vyfde van die waarde daarvan byvoeg.^j Hy moet dit gee aan die een wat hy benadeel het. **8** Maar as die slagoffer nie 'n nabye familielid het wat die vergoeding kan ontvang nie,* moet dit aan Jehovah te-

5:2 *Of "n siel". 5:8 *Verwys blykbaar na 'n geval waar die slagoffer intussen gesterf het.

ruggegee word en sal dit die priester s'n word, saam met die skaapram waarmee die priester vir die persoon versoening sal doen.^a

9 "Elke heilige bydrae^b van die Israëliete wat vir die priester aangebied word, moet syne word.^c **10** Die heilige dinge van elke persoon sal syne bly. Alles wat iemand aan die priester gee, sal aan die priester behoort."

11 Jehovah het verder vir Moses gesê: **12** "Praat met die Israëliete en sê vir hulle: 'Dit is die prosedure wat gevolg moet word as iemand se vrou 'n verkeerde weg inslaan en ontrou is aan hom **13** en 'n ander man seksuele omgang met haar het^d sonder dat haar man daarvan te wete kom en sonder dat enigiemand daarvan uitvind. Sy het haar onrein gemaak, maar daar is geen getuie teen haar nie, en sy is nie betrap nie. **14** As haar man jaloers word en oor sy vrou se getrouheid twyfel, het-sy sy haar onrein gemaak het of nie, **15** dan moet die man sy vrou na die priester toe bring, sowel as 'n offer vir haar, 'n tiende van 'n efa* garsmeel. Hy mag geen olie daarop gooi of wierook daarop sit nie, want dit is 'n graanoffer van jaloesie, 'n graanoffer wat oortreding in herinnering bring.

16 "Die priester moet haar laat nader kom en haar voor Jehovah laat staan.^e **17** Die priester moet heilige water in 'n kleihouer neem, en die priester moet van die stof neem wat op die vloer van die tabernakel is en dit in die water gooi. **18** En die priester moet die vrou voor Jehovah laat staan en die vrou se hare losmaak en die graan-

5:15 *'n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 5

a Le 5:16
Le 6:6, 7
Le 7:7

b Le 6:14, 17
Le 7:1, 6
Le 10:12, 13

c Eks 29:27, 28
Nu 18:8
De 18:3
Ese 44:29
1Kor 9:13

d Le 18:20
De 5:18

e Jer 17:10
Heb 13:4

Tweede kol.

a Nu 5:15, 25

b Nu 5:22, 24

c Ro 7:2

d Le 18:20
1Kor 6:9, 10

e Nu 5:15

offer wat as 'n herinnering dien, die graanoffer van jaloesie,^a in haar palms sit, en die priester moet die bitter water wat 'n vloek bring,^b in sy hand hou.

19 "Die priester moet haar dan laat sweer en vir die vrou sê: "As geen ander man seksuele omgang met jou gehad het terwyl jy onder jou man se gesag was^c en jy nie 'n verkeerde weg ingeslaan en jou onrein gemaak het nie, mag jy dan vry wees van die uitwerking van hierdie bitter water wat 'n vloek bring. **20** Maar as jy wel 'n verkeerde weg ingeslaan het terwyl jy onder jou man se gesag was deur jou onrein te maak en jy seksuele omgang met 'n ander man gehad het^d . . ." **21** Die priester moet die vrou dan laat sweer met 'n eed wat 'n vloek insluit, en die priester moet vir die vrou sê: "Mag Jehovah jou dan 'n voorbeeld onder jou volk maak waarna mense in 'n vloek of 'n eed verwys deurdat Jehovah jou onvrugbaar maak* en jou maag laat opswel. **22** Hierdie water wat 'n vloek bring, sal in jou ingewande ingaan en jou maag laat opswel en jou onvrugbaar maak."^e Dan moet die vrou sê: "Amen! Amen!"

23 "Daarna moet die priester hierdie vervloekinge in die boek skryf en hulle in die bitter water afwas. **24** Dan moet hy die vrou die bitter water wat 'n vloek bring, laat drink, en die water sal in haar ingaan en bitterheid voortbring. **25** En die priester moet die graanoffer van jaloesie^e uit die vrou se hand neem en die graanoffer heen en weer voor Jehovah beweeg, en hy moet dit na die

5:21, 22 *Lett. "jou dy laat inval". Die dy verwys hier blykbaar na die voortplantingsorgane. 5:22 #Of "Laat dit so wees! Laat dit so wees!"

altaar bring. **26** Die priester moet 'n hand vol van die graanoffer neem as 'n simbool van die hele offer en dit op die altaar laat rook,^a en daarna moet hy die vrou die water laat drink. **27** As sy haar onrein gemaak het en 'n daad van ontrouheid teen haar man gepleeg het, sal die water wat 'n vloek bring, in haar ingaan en iets bitters word wanneer hy haar dit laat drink, en haar maag sal opswel, en sy sal onvrugbaar word,* en die vrou sal 'n voorbeeld onder haar volk word waarna mense in 'n vloek of 'n eed verwys. **28** Maar as die vrou haar nie onrein gemaak het nie en rein is, sal sy vry wees van so 'n straf, en sy sal swanger kan word en kinders kan hê.

29 "Dit is die wet oor jaloesie,^b wanneer 'n vrou 'n verkeerde weg inslaan en haar onrein maak terwyl sy onder haar man se gesag is, **30** of in die geval van 'n man wat jaloers word en sy vrou van ontrouheid verdink. Hy moet sy vrou voor Jehovah laat staan, en die priester moet hierdie hele wet op haar toepas. **31** Die man sal vry van skuld wees, maar sy vrou sal verantwoordelik gehou word omdat sy skuldig is."

6 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israëliete: 'As 'n man of 'n vrou 'n spesiale gelofte maak om as 'n Nasire'ër^c vir Jehovah te lewe, **3** moet hy van wyn en ander alkohol wegbly. Hy mag nie asyn drink wat van wyn of van enige ander alkohol gemaak is nie.^d Hy mag geen sap drink wat van

5:27 *Lett. "haar dy sal inval". Die dy verwys hier blykbaar na die voortplantingsorgane. 6:2 *Hebreeus: *nazir*'. Beteken "iemand wat afgesonder, afgeskeie is; gedyde".

HFST. 5

a Le 2:9

b Nu 5:14,15

HFST. 6

c Rig 13:5

d Le 10:9
Am 2:11,12
Lu 1:15

Tweede kol.

a Rig 13:5
Rig 16:17
1Sa 1:11

b Le 21:1,11

c Nu 19:14

d Nu 6:13,18

e Le 5:8,10

druive gemaak is of druive eet, hetsy dit vars of gedroog is nie. **4** Al die dae van sy Nasire'erskap mag hy niks eet wat van die wingerdstok gemaak word nie, nie eers die onryp druive of die doppe nie.

5 "Al die dae van die gelofte van sy Nasire'erskap mag geen skeermes oor sy kop gaan nie.^a Hy moet heilig bly deur die hare van sy kop te laat groei tot dat die dae dat hy vir Jehovah afgesonder is, voltooï is. **6** Hy mag nie naby 'n dooie persoon* kom gedurende al die dae dat hy vir Jehovah afgesonder is nie. **7** Selfs as sy pa of sy ma of sy broer of sy suster sterf, mag hy hom nie onrein maak nie,^b want die teken van sy Nasire'erskap vir sy God is op sy kop.

8 "Al die dae van sy Nasire'erskap is hy heilig vir Jehovah. **9** Maar as iemand skielik langs hom sterf^c en hy die hare wat 'n simbool van sy Nasire'erskap is, onrein maak, moet hy sy kop skeer^d op die dag van sy reiniging. Hy moet dit op die sewende dag skeer. **10** En op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe na die priester toe bring by die ingang van die tent van samekoms. **11** Die priester moet een as 'n sonde-offer en die ander as 'n brandoffer voorberei en vir hom versoening doen vir sy sonde^e in verband met die dooie persoon.* Dan moet hy sy kop op daardie dag heilig. **12** En hy moet hom weer vir Jehovah afsonder om 'n nuwe tydperk van Nasire'erskap te begin, en hy moet 'n jong skaapram wat in sy eerste jaar is, as 'n skuldoffer bring. Maar die vorige dae sal nie tel nie, omdat hy

6:6 *Of "siel". Sien Woordelys. 6:11 *Of "met 'n siel". Sien Woordelys.

sy Nasire'erskap onrein gemaak het.

13 "En dit is die wet oor die Nasire'er: Wanneer die dae van sy Nasire'erskap verby is,^a moet hy na die ingang van die tent van samekoms gebring word.

14 Daar moet hy sy offer vir Jehovah aanbied: een jong skaapram sonder gebrek wat in sy eerste jaar is, as 'n brandoffer,^b een oilam sonder gebrek wat in haar eerste jaar is, as 'n sonde-offer,^c een skaapram sonder gebrek as 'n vrede-offer,^{*d}

15 'n mandjie ongesuurde ringvormige brode van fynmeel wat met olie gemeng is, ongesuurde platbrode wat met olie gesmeer is en die graanoffer^e en die drankoffers^f wat daarmee saamgaan. **16** Die priester moet dit vir Jehovah aanbied en die sonde-offer en die brandoffer offer. **17** Hy moet die skaapram as 'n vrede-offer* vir Jehovah offer, saam met die mandjie ongesuurde brode. En die priester moet die graanoffer^g en die drankoffer aanbied wat daarmee saamgaan.

18 "Die Nasire'er moet dan die hare van sy kop^h by die ingang van die tent van samekoms skeer, en hy moet die hare van sy kop wat gedurende sy Nasire'erskap gegroei het op die vuur sit wat onder die vrede-offer* is. **19** En die priester moet 'n gekookteⁱ blad van die skaapram, een ongesuurde ringvormige brood uit die mandjie en een ongesuurde platbrood neem en dit op die palms van die Nasire'er sit nadat hy die teken van sy Nasire'erskap laat afskeer het. **20** En die priester moet dit as 'n beweegoffer heen en weer voor Jehovah beweeg.^j

6:14, 17, 18 *Of "gemeenskapsoffer".
6:18 ^hOf "die kop van sy Nasire'erskap".

HFST. 6

a Nu 30:2
Pr 5:4

b Le 1:10

c Le 4:32

d Le 3:1

e Le 2:1
Le 6:14

f Nu 15:8, 10

g Le 2:9

h Nu 6:5

i Le 8:31

j Eks 29:23, 24

Tweede kol.

a Le 7:34

b Rig 13:5

c Le 9:22
De 10:8d Rut 2:4
Ps 134:3e Ps 31:16
Ps 67:1f Ps 29:11
Lu 2:14g De 28:10
Jes 43:7, 10h Ps 5:12
Ps 67:7

HFST. 7

i Eks 40:17

j Eks 30:26

k Le 8:10

l Eks 40:10

m Eks 18:21
Nu 1:4, 16

Dit is iets heiligs vir die priester, saam met die bors van die beweegoffer en die boud van die bydrae.^a Daarna mag die Nasire'er wyn drink.

21 "Dit is die wet oor die Nasire'er^b wat 'n gelofte maak: As hy 'n gelofte maak en dit kan bekostig om meer aan Jehovah te offer as wat deur sy Nasire'erskap vereis word, moet hy sy gelofte nakom uit respek vir die wet van sy Nasire'erskap."

22 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **23** "Sê vir Aäron en sy seuns: 'So moet julle die volk Israel seën.^c Sê vir hulle:

24 "Mag Jehovah julle seën^d en julle beskerm.

25 Mag Jehovah julle sy goedkeuring gee,^e en mag hy goed wees vir julle.

26 Mag Jehovah met goedkeuring na julle kyk en aan julle vrede gee."^f

27 En hulle moet my naam oor die volk Israel uitroep,^g sodat ek hulle kan seën."^h

7 Op die dag toe Moses die tabernakel klaar opgerig het,ⁱ het hy dit gesalf^j en dit geheilig saam met al die toerusting, die altaar en al die voorwerpe.^k Nadat hy dit gesalf en geheilig het,^l **2** het die hoofmanne van Israel,^m die hoofde van die vaderhuise, 'n offer aangebied. Hierdie hoofmanne van die stamme wat die leiding in die registrasie geneem het, **3** het hulle offer voor Jehovah gebring: ses tentwaens en 12 bulle, 'n wa vir twee hoofmanne en 'n bul vir elkeen. En hulle het dit voor die tabernakel aangebied.

4 Jehovah het vir Moses gesê: **5** "Aanvaar hierdie dinge van hulle, aangesien dit vir die diens in verband met die tent van samekoms gebruik sal word, en jy moet dit aan die Leviete gee,

aan elkeen volgens wat hy vir sy pligte nodig het.”

6 Toe het Moses die waens en die beeste aanvaar en dit aan die Leviëte gegee. **7** Hy het twee waens en vier bulle aan die seuns van Gerson gegee volgens wat hulle vir hulle pligte nodig gehad het.^a **8** En hy het vier waens en agt bulle aan die seuns van Mera'ri gegee volgens wat hulle vir hulle pligte nodig gehad het. Itamar, die seun van die priester Aäron, het hieroor toesig gehad.^b **9** Maar hy het niks aan die seuns van Kehat gegee nie, want hulle pligte het die diens in verband met die heiligdom ingesluit,^c en hulle het die heilige dinge op hulle skouers gedra.^d

10 En die hoofmanne het hulle offer tydens die toewyding^e van die altaar aangebied op die dag toe dit gesalf is. Toe die hoofmanne hulle offer voor die altaar aanbied, **11** het Jehovah vir Moses gesê: “Elke dag moet een van die hoofmanne hulle offer vir die toewyding van die altaar aanbied.”

12 Die een wat sy offer op die eerste dag aangebied het, was Nagson,^f die seun van Ammina'dab, van die stam van Juda. **13** Sy offer was een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels* en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^g albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^h **14** een goue beker* met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **15** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;ⁱ **16** een boklam as 'n sonde-

7:10 *Of “inwyding”. 7:13 *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.
^aOf “volgens die heilige sikkel”. 7:14
 *Of “bakkie”.

HFST. 7

a Nu 3:25, 26
Nu 4:24-26b Nu 3:36, 37
Nu 4:31-33c Nu 3:30, 31
Nu 4:15d 2Sa 6:13
1Kr 15:15e 1Kn 8:63
2Kr 7:5f Nu 1:4, 7
Nu 2:3
Rut 4:20
Mt 1:4

g Le 27:25

h Le 2:1

i Le 1:3

Tweede kol.

a Le 4:22, 23

b Le 3:1

c Eks 6:23
Lu 3:23, 33d Nu 1:4, 8
Nu 2:5
Nu 10:15

e Le 27:25

f Le 2:1

g Le 1:3

h Le 4:22, 23

i Le 3:1

j Nu 2:7
Nu 10:16

k Le 27:25

l Le 2:1

m Le 1:3

n Le 4:22, 23

o Le 3:1

p Nu 1:4, 9

offer;^a **17** en as 'n vrede-offer^{*b} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Nagson, die seun van Ammina'dab.^c

18 Op die tweede dag het die hoofman van Is'saskar 'n offer aangebied. Hy was Neta'nel,^d die seun van Suar. **19** Hy het as sy offer aangebied: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^e albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^f **20** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **21** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^g **22** een boklam as 'n sonde-offer;^h **23** en as 'n vrede-offer^{*i} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Neta'nel, die seun van Suar.

24 Op die derde dag het die hoofman van die seuns van Se'bulon sy offer aangebied. Hy was Eli'ab,^j die seun van Helon. **25** Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^k albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^l **26** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **27** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^m **28** een boklam as 'n sonde-offer;ⁿ **29** en as 'n vrede-offer^{*o} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Eli'ab,^p die seun van Helon.

7:17, 23, 29 *Of “gemeenskapsoffer”.

30 Op die vierde dag het die hoofman van die seuns van Ruben sy offer aangebied. Hy was Eli'sur,^a die seun van Sede'ur.

31 Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^b albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^c

32 een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk;

33 een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^d

34 een boklam as 'n sonde-offer;^e **35** en as 'n vrede-offer^{*f} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Eli'sur,^g die seun van Sede'ur.

36 Op die vyfde dag het die hoofman van die seuns van Simeon sy offer aangebied. Hy was Selu'miël,^h die seun van Suri'saddai.

37 Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,ⁱ albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^j

38 een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk;

39 een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^k

40 een boklam as 'n sonde-offer;^l **41** en as 'n vrede-offer^{*m}

twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Selu'miël,ⁿ die seun van Suri'saddai.

42 Op die sesde dag het die hoofman van die seuns van Gad sy offer aangebied. Hy was Elja'saf,^o die seun van De'huel.

7:35, 41, 47, 53 *Of "gemeenskapsoffer".

HFST. 7

a Nu 2:10
Nu 10:18

b Le 27:25

c Le 2:1

d Le 1:3

e Le 4:22, 23

f Le 3:1

g Nu 1:4, 5

h Nu 2:12

i Le 27:25

j Le 2:1

k Le 1:3

l Le 4:22, 23

m Le 3:1

n Nu 1:4, 6

o Nu 2:14
Nu 10:20

Tweede kol.

a Le 27:25

b Le 2:1

c Le 1:3

d Le 4:22, 23

e Le 3:1

f Nu 1:4, 14

g Nu 2:18
Nu 10:22

h Le 27:25

i Le 2:1

j Le 1:3

k Le 4:22, 23

l Le 3:1

m Nu 1:4, 10

n Nu 2:20
Nu 10:23

o Le 27:25

43 Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^a albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^b

44 een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk;

45 een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^c

46 een boklam as 'n sonde-offer;^d **47** en as 'n vrede-offer^{*e} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Elja'saf,^f die seun van De'huel.

48 Op die sewende dag het die hoofman van die seuns van Efraim sy offer aangebied. Hy was Elisa'ma,^g die seun van Ammi'hud.

49 Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^h albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;ⁱ

50 een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk;

51 een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^j

52 een boklam as 'n sonde-offer;^k **53** en as 'n vrede-offer^{*l}

twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Elisa'ma,^m die seun van Ammi'hud.

54 Op die agtste dag het die hoofman van die seuns van Manasse sy offer aangebied. Hy was Gama'liël,ⁿ die seun van Peda'sur.

55 Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^o albei vol fynmeel wat

met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^a **56** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **57** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^b **58** een boklam as 'n sonde-offer;^c **59** en as 'n vrede-offer^{*d} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Gama'liël,^e die seun van Peda'sur.

60 Op die negende dag het die hoofman^f van die seuns van Benjamin sy offer aangebied. Hy was Abi'dan,^g die seun van Gideo'ni. **61** Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^h albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;ⁱ **62** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **63** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^j **64** een boklam as 'n sonde-offer;^k **65** en as 'n vrede-offer^{*l} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Abi'dan,^m die seun van Gideo'ni.

66 Op die tiende dag het die hoofman van die seuns van Dan sy offer aangebied. Hy was Ahiëser,ⁿ die seun van Ammi'saddai. **67** Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^o albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^p **68** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **69** een jong bul, een

7:59, 65, 71, 77, 83 *Of "gemeenskaps-offer".

HFST. 7

a Le 2:1

b Le 1:3

c Le 4:22, 23

d Le 3:1

e Nu 1:4, 10

f Nu 1:16

g Nu 2:22

Nu 10:24

h Le 27:25

i Le 2:1

j Le 1:3

k Le 4:22, 23

l Le 3:1

m Nu 1:4, 11

n Nu 2:25

Nu 10:25

o Le 27:25

p Le 2:1

Tweede kol.

a Le 1:3

b Le 4:22, 23

c Le 3:1

d Nu 1:4, 12

e Nu 2:27

Nu 10:26

f Le 27:25

g Le 2:1

h Le 1:3

i Le 4:22, 23

j Le 3:1

k Nu 1:4, 13

l Nu 2:29

Nu 10:27

m Le 27:25

n Le 2:1

o Le 1:3

p Le 4:22, 23

q Le 3:1

skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^a **70** een boklam as 'n sonde-offer;^b **71** en as 'n vrede-offer^{*c} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Ahiëser,^d die seun van Ammi'saddai.

72 Op die 11de dag het die hoofman van die seuns van Aser sy offer aangebied. Hy was Pa'giël,^e die seun van Ogran. **73** Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^f albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;^g **74** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **75** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^h **76** een boklam as 'n sonde-offer;ⁱ **77** en as 'n vrede-offer^{*j} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die offer van Pa'giël,^k die seun van Ogran.

78 Op die 12de dag het die hoofman van die seuns van Naftali sy offer aangebied. Hy was Ahi'ra,^l die seun van Enan. **79** Sy offer was: een silwerskottel met 'n gewig van 130 sikkels en een silwerbak met 'n gewig van 70 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom,^m albei vol fynmeel wat met olie gemeng is, as 'n graanoffer;ⁿ **80** een goue beker met 'n gewig van 10 sikkels, vol reukwerk; **81** een jong bul, een skaapram en een ramlam in sy eerste jaar, as 'n brandoffer;^o **82** een boklam as 'n sonde-offer;^p **83** en as 'n vrede-offer^{*q} twee beeste, vyf skaapramme, vyf bokramme en vyf ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die

offer van Ahi'ra,^a die seun van Enan.

84 Dit was die toewydingsoffer^b van die altaar wat die hoofmanne van Israel gebring het op die dag toe dit gesalf is: 12 silwerskottels, 12 silwerbakke, 12 goue bekere.^c **85** (Elke silwerskottel het 130 sikkels geweeg, en elke silwerbak 70 sikkels, en die silwer van al die houers was 2400 sikkels volgens die standaardsikkel van die heiligdom.^d **86** Die 12 goue bekere vol reukwerk het elk 10 sikkels geweeg volgens die standaardsikkel van die heiligdom, en die goud van al die bekere was 120 sikkels.) **87** Al die vee vir die brandoffer was 12 bulle, 12 skaapramme, 12 ramlammers wat elk 'n jaar oud was, en hulle graanoffers, en 12 boklammers as 'n sonde-offer. **88** En al die vee van die vrede-offer* was 24 bulle, 60 skaapramme, 60 bokramme en 60 ramlammers wat elk 'n jaar oud was. Dit was die toewydingsoffer^e van die altaar nadat dit gesalf is.^f

89 Wanneer Moses in die tent van samekoms ingegaan het om met God te praat,^g het hy die stem met hom hoor praat van bokant die deksel^h wat op die ark van die Getuënis was, tussen die twee gerubsⁱ uit. En God het met hom gepraat.

8 Jehovah het vir Moses gesê: **2** "Sê vir Aäron: 'Wanneer jy die lampe aansteek, moet die sewe lampe die ruimte voor die lampstaander verlig.'" **3** Aäron het toe so gemaak: Hy het die lampe aangesteek vir die ruimte voor die lampstaander,^k net soos Jehovah Moses beveel het. **4** Dit is hoe die lampstaander gemaak is: Dit is van goud gemaak en met 'n hamer

7:88 *Of "gemeenskapsoffer".

HFST. 7

a Nu 1:4, 15

b Nu 7:10
Esr 2:68

c Nu 7:13-17

d Le 27:25

e Nu 7:10

f Nu 7:1

g Eks 33:9
Nu 11:17
Nu 12:8

h Eks 25:22
Eks 37:6

i Eks 25:18
1Sa 4:4
Ps 80:1

HFST. 8

j Eks 25:37
Eks 40:24, 25
Le 24:2

k Heb 9:2

Tweede kol.

a Eks 37:17

b Eks 25:9, 40
1Kr 28:12, 19

c Eks 29:4
Jes 52:11

d Eks 30:18, 19
Le 16:28
Nu 19:7

e Le 1:3

f Le 2:1

g Le 4:3

h Le 8:2, 3

i Nu 3:9, 41

j Le 7:30
Nu 8:21

k Nu 1:50
Nu 3:6
2Kr 31:2

l Eks 29:10

m Le 1:4

n Nu 3:45
Nu 16:9

gevorm. Van die steel tot by die bloeisel is dit met 'n hamer gevorm.^a Die lampstaander is gemaak volgens die visioen^b wat Jehovah Moses laat sien het.

5 Jehovah het weer met Moses gepraat en gesê: **6** "Sonder die Leviete van die Israeliete af en reinig hulle.^c **7** Dit is hoe jy hulle moet reinig: Spat reinigingswater* op hulle, en hulle moet hulle hele liggaam met 'n skeermes skeer, hulle klere was en hulle reinig.^d **8** Dan moet hulle 'n jong bul^e neem en die graanoffer^f wat daarmee saamgaan - fynmeel wat met olie gemeng is - en jy moet nog 'n jong bul as 'n sonde-offer^g neem. **9** En jy moet die Leviete voor die tent van samekoms bring en die hele gemeenskap van Israel bymekaar laat kom.^h **10** Wanneer jy die Leviete voor Jehovah bring, moet die Israeliete hulle hande op die Levieteⁱ lê. **11** En Aäron moet die Leviete as 'n beweegoffer^j van die Israeliete voor Jehovah offer,* en hulle moet die diens van Jehovah verrig.^k

12 "Dan moet die Leviete hulle hande op die koppe van die bulle sit.^l Daarna moet hulle die een as 'n sonde-offer en die ander as 'n brandoffer aan Jehovah offer om vir die Leviete versoening te doen.^m **13** En jy moet die Leviete voor Aäron en sy seuns laat staan en hulle as 'n beweegoffer aan Jehovah offer.* **14** Jy moet die Leviete van die Israeliete afsonder, en die Leviete sal myne word.ⁿ **15** Daarna moet die Leviete ingaan om by die tent van samekoms te dien. Dit is hoe jy hulle moet reinig en hulle as 'n beweegoffer moet offer.* **16** Want hulle is

8:7 *Of "water om sonde weg te neem".
8:11, 13, 15 *Lett. "beweeg", d.w.s. heen en weer laat beweeg.

aan my gegee as gawes uit die Israeliete. In die plek van al die eersgeborenes* van die Israeliete^a sal ek hulle vir my neem. **17** Want elke eersgeborene van die Israeliete is myne, mens sowel as dier.^b Ek het hulle vir my geheilig op die dag toe ek elke eersgeborene in Egipte doodgemaak het.^c **18** Ek sal die Leviete neem in die plek van al die eersgeborenes van die Israeliete. **19** Ek sal die Leviete aan Aäron en sy seuns gee as gawes uit die Israeliete om die diens namens die Israeliete by die tent van samekoms te verrig^d en om vir die Israeliete versoening te doen, sodat geen plaag onder die Israeliete^e ontstaan omdat hulle naby die heiligdom kom nie.”

20 Moses en Aäron en die hele gemeenskap van Israel het so met die Leviete gedoen. Die Israeliete het alles gedoen wat Jehovah Moses in verband met die Leviete beveel het. **21** Die Leviete het hulleself toe gereinig en hulle klere gewas,^f waarna Aäron hulle as 'n bewegoffer voor Jehovah geoffer* het.^g Toe het Aäron vir hulle versoening gedoen om hulle te reinig.^h **22** Daarna het die Leviete ingegaan om hulle diens by die tent van samekoms voor Aäron en sy seuns te verrig. Alles wat Jehovah Moses in verband met die Leviete beveel het, is uitgevoer.

23 Jehovah het toe vir Moses gesê: **24** “Dit is van toepassing op die Leviete: As 'n man 25 jaar of ouer is, moet hy aansluit by die groep wat die diens in verband met die tent van same-

8:16 *Of ^aal die eersgeborenes wat die baarmoeder open”. **8:21** *Lett. “beweeg”, d.w.s. heen en weer laat beweeg.

HFST. 8

a Nu 3:12

b Eks 13:2, 12
Le 27:26c Eks 12:29
Eks 13:15d Nu 3:9
Nu 18:6
1Kr 23:32
Ese 44:11e Nu 1:53
Nu 18:5
1Sa 6:19

f Nu 8:7

g Nu 8:11

h Nu 8:12

Tweede kol.

a Nu 1:53
Nu 3:32
Nu 18:4

HFST. 9

b Eks 40:2
Nu 1:1

c Eks 12:27

d Eks 12:3, 6
Le 23:5
De 16:1
1Kor 5:7

e Eks 12:8

f Nu 5:2
Nu 19:14, 16g Eks 18:15
Nu 15:33
Nu 27:1, 2

koms verrig. **25** Maar op die ouderdom van 50 jaar moet hy uit die diensgroep uittree en nie meer dien nie. **26** Hy mag sy broers dien wat na die verantwoordelikhede by die tent van samekoms omsien, maar hy mag nie die diens daar verrig nie. Dit is wat jy moet doen in verband met die Leviete en hulle verantwoordelikhede.”^a

9 Jehovah het met Moses gepraat in die wildernis Si'nai in die eerste maand^b van die tweede jaar nadat hulle uit Egipte gekom het. Hy het gesê: **2** “Die Israeliete moet die Pasga-offer^c op die vasgestelde tyd voorberei.^d **3** Op die 14de dag van hierdie maand, wanneer dit skemer word,^e moet julle dit op die vasgestelde tyd voorberei. Julle moet dit voorberei volgens al die wetsbepalings en al die prosedures wat daarvoor vasgestel is.”^e

4 Moses het toe vir die Israeliete gesê dat hulle die Pasga-offer moet voorberei. **5** Toe het hulle die Pasga-offer in die eerste maand, op die 14de dag van die maand, toe dit skemer word,* in die wildernis Si'nai voorberei. Die Israeliete het alles gedoen wat Jehovah Moses beveel het.

6 Maar daar was mans wat onrein geword het omdat hulle aan 'n dooie liggaam geraak het,^f en daarom kon hulle nie die Pasga-offer op daardie dag voorberei nie. Hulle het dus op daardie dag na Moses en Aäron toe gegaan^g **7** en vir Moses gesê: “Ons is onrein omdat ons aan 'n dooie liggaam geraak het. Maar hoekom moet dit ons keer om die offer vir Jehovah op die vasgestelde tyd saam met die res van die Israeliete aan te

9:3, 5 *Lett. “tussen die twee aandende”.

bied?"^a **8** Moses het vir hulle gesê: "Wag hier, en laat ek hoor wat Jehovah se bevel in verband met julle is."^b

9 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **10** "Sê vir die Israëliete: 'Al word iemand onder julle of onder julle toekomstige geslagte onrein omdat hy aan 'n dooie liggaam raak,^c of al is hy op 'n lang reis, moet hy nog steeds die Pasga-offer vir Jehovah voorberei. **11** Hulle moet dit in die tweede maand,^d op die 14de dag, wanneer dit skemer word,^e voorberei. Hulle moet dit saam met ongesuurde brood en bitter kruie eet.^e **12** Hulle mag niks daarvan tot die oggend toe laat oorbly nie,^f en hulle mag geen been daarvan breek nie.^g Hulle moet dit volgens elke wetsbepaling in verband met die Pasga voorberei. **13** Maar as 'n man rein was of nie op reis was nie en hy nie die Pasga-offer voorberei het nie, moet hy doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word,^h want hy het nie die offer van Jehovah op die vasgestelde tyd aangebied nie. So 'n man moet die gevolge van sy sonde dra.

14 "En as 'n uitlander onder julle woon, moet hy ook die Pasga-offer vir Jehovah voorberei.ⁱ Hy moet dit doen volgens die wetsbepaling in verband met die Pasga en die prosedure wat daarvoor vasgestel is.^j Daar moet een wetsbepaling vir julle wees, vir die uitlander wat onder julle woon sowel as vir die gebore Israëliet."^k

15 En op die dag toe die tabernakel opgerig is,^l het die wolk die tabernakel, die tent van die Getuienis, bedek. Maar van die aand tot die oggend was daar iets wat soos vuur ge-

HFST. 9

a Le 7:21
De 16:2b Eks 25:22
Le 16:2
Ps 99:6

c Nu 5:2

d 2Kr 30:2, 15

e Eks 12:8

f Eks 12:10

g Eks 12:46
Ps 34:20
Joh 19:36

h Eks 12:15

i Eks 12:19, 48

j Eks 12:8

k Le 24:22
De 31:12

l Eks 40:2, 17

Tweede kol.

a Eks 40:34, 38

b Eks 13:22
Ne 9:19

c Nu 10:11, 34

d Eks 40:36, 37

e Eks 17:1
Nu 10:11-13

f Eks 40:37

g Eks 40:36
Ps 78:14

HFST. 10

h Le 23:24

lyk het oor die tabernakel.^a

16 Dit is wat altyd plaasgevind het: In die dag het die wolk dit bedek, en in die nag iets wat soos vuur gelyk het.^b

17 Elke keer wanneer die wolk van die tent af opgelig het, het die Israëliete onmiddellik weggetrek,^c en op die plek waar die wolk gaan staan het, het die Israëliete kamp opgeslaan.^d

18 Op bevel van Jehovah het die Israëliete weggetrek, en op bevel van Jehovah het hulle kamp opgeslaan.^e Solank die wolk oor die tabernakel gebly het, het hulle kamp daar gebly.

19 Wanneer die wolk baie dae lank oor die tabernakel gebly het, het die Israëliete Jehovah gehoorsaam en nie weggetrek nie.^f **20** Soms het die wolk net

'n paar dae oor die tabernakel gebly. Op bevel van Jehovah het hulle kamp daar gebly, en op bevel van Jehovah het hulle weggetrek.

21 Soms het die wolk net van die aand tot die oggend gebly, en wanneer die wolk in die oggend opgelig het, het hulle weggetrek. Wanneer die wolk opgelig het, het hulle weggetrek, hetsy dit dag of nag was.^g

22 Solank as wat die wolk oor die tabernakel gebly het, of dit nou twee dae, 'n maand of langer was, het die Israëliete se kamp daar gebly en het hulle nie weggetrek nie. Maar wanneer dit opgelig het, het hulle weggetrek.

23 Op bevel van Jehovah het hulle kamp opgeslaan, en op bevel van Jehovah het hulle weggetrek. Hulle het hulle verpligting teenoor Jehovah nagekom, volgens die bevel wat Jehovah deur middel van Moses gegee het.

24 Op die dag toe die tabernakel opgerig is, het die wolk die tabernakel, die tent van die Getuienis, bedek. Maar van die aand tot die oggend was daar iets wat soos vuur gelyk het oor die tabernakel.

25 Dit is wat altyd plaasgevind het: In die dag het die wolk dit bedek, en in die nag iets wat soos vuur gelyk het. Elke keer wanneer die wolk van die tent af opgelig het, het die Israëliete onmiddellik weggetrek, en op die plek waar die wolk gaan staan het, het die Israëliete kamp opgeslaan.

Op bevel van Jehovah het die Israëliete weggetrek, en op bevel van Jehovah het hulle kamp opgeslaan. Solank die wolk oor die tabernakel gebly het, het hulle kamp daar gebly. Wanneer die wolk baie dae lank oor die tabernakel gebly het, het die Israëliete Jehovah gehoorsaam en nie weggetrek nie. Soms het die wolk net 'n paar dae oor die tabernakel gebly. Op bevel van Jehovah het hulle kamp daar gebly, en op bevel van Jehovah het hulle weggetrek. Soms het die wolk net van die aand tot die oggend gebly, en wanneer die wolk in die oggend opgelig het, het hulle weggetrek. Wanneer die wolk opgelig het, het hulle weggetrek, hetsy dit dag of nag was.

10 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** "Maak vir jou twee trompette^h van silwer. Vorm dit met 'n hamer, en

gebruik die trompette om die gemeenskap van Israel bymekaar te roep en om die kampe te laat opbreek. **3** Wanneer daar op albei geblaas word, moet die hele gemeenskap van Israel na jou toe kom by die ingang van die tent van samekoms.^a **4** As daar op net een geblaas word, moet slegs die hoofmanne, die hoofde van die duisende van Israel, na jou toe kom.^b

5 "Wanneer julle 'n wisselende trompetsein gee, moet die kampe wat aan die oostekant is,^c vertrek. **6** Wanneer julle 'n tweede keer 'n wisselende trompetsein gee, moet die kampe wat aan die suidekant is,^d vertrek. Hulle moet so 'n trompetsein gee elke keer wanneer een van die groepe vertrek.

7 "En wanneer julle die gemeente bymekaarroep, moet julle op die trompette blaas,^e maar moenie 'n wisselende sein gee nie. **8** Aäron se seuns, die priesters, moet op die trompette blaas,^f en die gebruik van die trompette sal in al julle geslagte 'n permanente wetsbepaling vir julle wees.

9 "As julle in julle land oorlog maak teen 'n vyand wat julle onderdruk, moet julle 'n oorlogsein op die trompette blaas,^g en Jehovah julle God sal aan julle dink en julle van julle vyande red.

10 "En by julle vreugdevolle geleentheid^h - julle feesteⁱ en die begin van julle maande - moet julle op die trompette blaas wanneer julle brandoffers/ en vrede-offers^{*k} offer. Hulle sal vir julle dien as 'n herinnering voor julle God. Ek is Jehovah julle God."^l

11 En in die tweede jaar, in die tweede maand, op die

HFST. 10

- a Nu 1:18
De 29:10, 11
b Eks 18:21
Nu 1:16
Nu 7:2
De 1:15
De 5:23
c Nu 2:3
d Nu 2:10
e Nu 10:3
f Nu 31:6
1Kr 15:24
1Kr 16:6
2Kr 29:26
Ne 12:35, 41
g 2Kr 13:12
h 1Kr 15:28
2Kr 5:12
2Kr 7:6
Esr 3:10
i Le 23:24
Nu 29:1
j Nu 28:11
k Le 3:1
l Eks 6:7
Le 11:45

Tweede kol.

- a Nu 1:1
b Nu 9:17
Ps 78:14
c Eks 40:36
Nu 2:9, 16, 17,
24, 31
d Nu 12:16
Nu 13:26
De 1:1, 2
e Nu 2:34
Nu 9:23
f Nu 1:4, 7
Nu 2:3
g Nu 1:4, 8
Nu 2:5
h Nu 2:7
i Nu 1:51
j Nu 3:25, 26
k Nu 3:36, 37
l Nu 1:4, 5
Nu 2:10
m Nu 1:5, 6
Nu 2:12
n Nu 1:4, 14
Nu 2:14
o Nu 3:30, 31
Nu 4:15
Nu 7:9

20ste dag van die maand,^a het die wolk opgelig van die tabernakel^b van die Getuënis af. **12** Toe het die Israeliete uit die wildernis Si'nai begin vertrek in die volgorde wat vir hulle vasgestel is,^c en die wolk het in die wildernis Paran^d tot stilstand gekom. **13** Dit was die eerste keer dat hulle vertrek het volgens die bevel wat Jehovah deur middel van Moses gegee het.^e

14 Die driestamgroep van die kamp van die kinders van Juda het dus eerste vertrek volgens hulle afdelings,^{*} en Nagsion,^f die seun van Ammina'dab, was oor daardie driestamgroep. **15** Neta'nel,^g die seun van Suar, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Is'saskar. **16** Eli'ab,^h die seun van Helon, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Se'bulon.

17 Toe is die tabernakel afgebreekⁱ en het die seuns van Gerson^j en die seuns van Merari,^k wat die tabernakel gedra het, vertrek.

18 Daarna het die driestamgroep van die kamp van Ruben volgens hulle afdelings^{*} vertrek, en Eli'sur,^l die seun van Sed'eür, was oor daardie driestamgroep. **19** Selu'miël,^m die seun van Suri'saddai, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Si'meon. **20** Elja'saf,ⁿ die seun van De'huel, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Gad.

21 Toe het die Kehatiete, wat die voorwerpe van die heiligdom gedra het,^o vertrek. Die tabernakel moes opgerig wees teen die tyd dat hulle by hulle bestemming aangekom het.

22 Toe het die driestamgroep van die kamp van die

10:10 *Of "gemeenskapsoffers".

10:14, 18 *Lett. "leërmagte".

kinders van E'fraim volgens hulle afdelings* vertrek, en Elisa'ma,^a die seun van Ammi'hud, was oor daardie driestamgroep. **23** Gama'liël,^b die seun van Pedas'ur, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Manas'se. **24** Abi'dan,^c die seun van Gideo'ni, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Benjamin.

25 Toe het die driestamgroep van die kamp van die kinders van Dan volgens hulle afdelings* vertrek en die agterhoede^d gevorm vir al die kampe, en Ahiëser,^d die seun van Ammi'saddai, was oor daardie driestamgroep. **26** Pa'giël,^e die seun van Ogran, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Aser. **27** Ahi'ra,^f die seun van Enan, was oor die afdeling van die stam van die kinders van Naf'tali. **28** Dit was die volgorde waarin die Israeliete en hulle afdelings* vertrek het.^g

29 Toe het Moses vir Hobab, die seun van Moses se skoonpa, Re'huel,^h die Midianiet, gesê: "Ons vertrek na die plek waarvan Jehovah gesê het: 'Ek sal dit aan julle gee.'ⁱ Kom tog saam met ons,^j en ons sal jou goed behandel, want Jehovah het goeie dinge vir Israel belowe."^k **30** Maar hy het vir hom gesê: "Ek sal nie saamgaan nie. Ek sal na my eie land en na my familie teruggaan." **31** Toe het hy gesê: "Moet ons asseblief nie verlaat nie, want jy weet waar ons in die wildernis moet kamp opslaan, en jy kan ons gids* wees. **32** En as jy saam met ons kom,^l sal ons die goedheid wat Jeho-

10:22, 25, 28 *Lett. "leërmagte".
10:25 ^dDie driestamgroep wat die nasie van agter beskerm het. **10:29**
*D.w.s. Jetro. **10:31** *Of "oë".

HFST. 10

a Nu 1:4, 10
Nu 2:18, 24

b Nu 1:4, 10
Nu 2:20

c Nu 1:4, 11
Nu 2:22

d Nu 1:4, 12
Nu 2:25, 31

e Nu 1:4, 13
Nu 2:27

f Nu 1:4, 15
Nu 2:29

g Nu 2:34

h Eks 2:16, 18
Eks 3:1
Eks 18:1, 5

i Ge 12:7
Ge 13:14, 15
Ge 15:18

j Rig 1:16
Rig 4:11
1Sa 15:6

k Eks 3:8
Eks 6:7

l Rig 1:16
Rig 4:11

Tweede kol.

a Eks 3:1
Eks 19:3
Eks 24:16
De 5:2

b Eks 25:10, 17

c De 1:32, 33
Jos 3:3, 4

d Eks 13:21
Ne 9:12
Ps 78:14

e Ps 132:8

f De 1:10

HFST. 11

g Eks 32:11
De 9:19
Ps 106:23
Jak 5:16

h De 9:22

i Eks 12:37, 38
Le 24:10

j 1Kor 10:6, 10

k Ps 78:18, 22
Ps 106:14

l Eks 16:3

vah aan ons betoon, beslis ook aan jou betoon."

33 Toe het hulle van die berg van Jehovah^a af vertrek en drie dae lank gereis. En gedurende hierdie reis van drie dae het die ark^b van Jehovah se verbond vooruitgegaan om vir hulle 'n rusplek uit te soek.^c **34** En Jehovah se wolk^d was gedurende die dag oor hulle wanneer hulle van die kampplek af vertrek het.

35 Elke keer wanneer die Ark verskuif is, het Moses gesê: "Staan op, o Jehovah,^e en laat u vyande verstrooi word, en laat dié wat u haat, voor u wegvlug."

36 En wanneer dit gerus het, het hy gesê: "Keer tog terug, o Jehovah, na die tallose duisende van Israel."^f

11 En die volk het bitterlik begin kla voor Jehovah. Toe Jehovah dit hoor, het hy woedend geword. En Jehovah het vuur onder hulle ingestuur, en dit het party aan die rand van die kamp verteer. **2** Toe die volk na Moses begin roep het om hulle te help, het hy 'n smeekgebed tot Jehovah gedoen,^g en die vuur het doodgegaan. **3** Daarom is daardie plek Tabe'ra* genoem, omdat Jehovah vuur onder hulle ingestuur het.^h

4 Die gemengde skareⁱ wat onder hulle was, het toe selfsugtige begeertes^j uitgespreek, en die Israeliete het ook begin huil en gesê: "Wie sal vir ons vleis gee om te eet?"^k **5** Ons verlang so na die vis wat ons verniet in Egipte geëet het, en na die komkommers, die waatlemoene, die preie, die uie en die knoffel!^l **6** Maar nou teer ons uit. Nou

11:3 *Beten "brand", d.w.s. 'n verwoestende vuur. **11:4** *Blykbaar die nie-Israeliete onder hulle.

moet ons net in hierdie manna vaskyk.”^a

7 Terloops, die manna^b was soos koljandersaad,^c en dit het soos balsemgom gelyk. **8** Die volk het uitgegaan en dit opgetel en dit in handmeule gemaal of in 'n vysel fyngestamp. Dan het hulle dit in kookpotte gekook of ronde brode daarvan gemaak,^d en dit het soos 'n soet oliekoek gesmaak. **9** Wanneer die dou in die nag op die kamp geval het, het die manna ook geval.^e

10 Moses het die volk hoor huil, die een familie ná die ander, elke man by die ingang van sy tent. En Jehovah het baie kwaad geword,^f en Moses was ook baie ontsteld. **11** Toe het Moses vir Jehovah gesê: “Hoekom het u u kneg laat swaarkry? Hoekom geniet ek nie u goedkeuring nie? Hoekom het u die las van hierdie hele volk op my geplaas?^g **12** Het ek met hierdie hele volk swanger geword? Het ek aan hulle geboorte gegee, sodat u vir my sê: ‘Dra hulle in die voue van jou kleed, soos 'n oppasser 'n baba dra,’ na die land wat u aan hulle voorvaders met 'n eed belowe het?^h **13** Waar gaan ek vleis kry om vir hierdie hele volk te gee? Want hulle bly by my huil en sê: ‘Gee vir ons vleis om te eet!’ **14** Ek kan nie hierdie hele volk alleen dra nie. Dit is te veel vir my.’ **15** As u dit van my verwag, maak my sommer nou dadelik dood, asseblief.ⁱ Wees genadig teenoor my en moet my nie nog meer ramspoed laat sien nie.”

16 Jehovah het Moses geantwoord: “Kry vir my 70 manne van die ouerманne van Israel bymekaar, manne wat jy weet ouerманne en beamptes van die volk^k is, en neem hulle na

HFST. 11

a Eks 16:35
Nu 21:5

b Eks 16:14
Ne 9:20
Joh 6:31

c Eks 16:31

d Eks 16:16, 23

e Ps 78:24

f Nu 11:1

g Eks 17:4
De 1:12

h Ge 13:14, 15
Ge 26:3

i Eks 18:17, 18
De 1:9

j 1Kn 19:2, 4
Job 6:8, 9

k De 16:18

Tweede kol.

a Eks 19:11
Eks 25:22
Eks 34:5
Nu 12:5

b Nu 11:25
Nu 12:8

c 1Sa 10:6
2Kn 2:15
Ne 9:20
Han 2:17

d Eks 18:21, 22

e Eks 19:10

f Eks 16:7

g Nu 11:4, 5

h Eks 16:8

i Ps 78:29

j Nu 21:5

k Eks 12:37
Eks 38:26
Nu 1:45, 46

l Ge 18:14
Jes 59:1
Mr 10:27
Lu 1:37

m Nu 11:16

n Eks 33:9
Nu 12:5
De 31:15

die tent van samekoms, en laat hulle daar by jou staan. **17** Ek sal neerdaal^a en daar met jou praat,^b en ek sal van die gees^c wat op jou is, wegneem en dit op hulle plaas, en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.^d **18** Jy moet vir die volk sê: ‘Heilig julle vir môre,^e want julle sal beslis vleis eet, want julle het in Jehovah se ore gehuil^f en gesê: “Wie gaan vir ons vleis gee om te eet? Dit was vir ons beter in Egipte.”^g Jehovah sal beslis vir julle vleis gee, en julle sal eet.’^h **19** Julle sal eet, nie een dag of 2 dae of 5 dae of 10 dae of 20 dae nie, **20** maar 'n hele maand lank, totdat dit by julle ore* uitkom en julle siek en sat word daarvoor,ⁱ want julle het Jehovah, wat by julle is, verwerp, en julle het voor hom gehuil en gesê: “Hoekom het ons Egipte verlaat?”^j

21 Toe het Moses gesê: “Daar is 600 000 manne* onder hierdie volk,^k en tog het u gesê: ‘Ek sal vir hulle vleis gee, genoeg vir 'n hele maand!’ **22** Sal dit vir hulle genoeg wees as hele kuddes en troppe geslag word? Of sal dit vir hulle genoeg wees as al die visse van die see vir hulle gevang word?”

23 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Is die hand van Jehovah te kort? Nou sal jy sien of wat ek sê, sal gebeur of nie.”

24 Daarna het Moses uitgegaan en Jehovah se woorde aan die volk oorgedra. En hy het 70 manne uit die ouerманne van die volk bymekaargeroep en hulle rondom die tent laat staan.^m **25** Toe het Jehovah in 'n wolk neergedaalⁿ en met hom

11:20 *Lett. “neusgate”. **11:21** *Lett. “600 000 te voet”. Verwys blykbaar na manne wat kan veg.

gepraat^a en van die gees^b wat op hom was, weggeneem en dit op elkeen van die 70 ouermanne geplaas. En toe die gees op hulle kom, het hulle soos profete begin optree,^{*c} maar hulle het dit net hierdie een keer gedoen.

26 Twee van die manne was nog in die kamp. Hulle name was Eldad en Medad. En die gees het op hulle gekom omdat hulle onder dié was wie se name neergeskryf was, maar hulle het nie na die tent uitgegaan nie. Toe het hulle soos profete begin optree in die kamp. **27** En 'n jong man het gehardloop en vir Moses gesê: "Eldad en Medad tree op soos profete in die kamp!" **28** Toe het Josua,^d die seun van Nun, wat Moses van jongs af gedien het, geantwoord en gesê: "My heer Moses, keer hulle!"^e **29** Maar Moses het vir hom gesê: "Is jy jaloers ter wille van my? Nee, ek wens dat Jehovah se hele volk profete was en dat Jehovah sy gees op hulle sou plaas!" **30** Later het Moses saam met die ouermanne van Israel na die kamp teruggekeer.

31 Toe het 'n wind wat deur Jehovah gestuur is, opgekom en kwartels van die see af gewaai en hulle om die kamp op die grond laat val,^f ongeveer 'n dagreis ver in alle rigtings, reg rondom die kamp, ongeveer twee el* diep. **32** Toe het die volk daardie hele dag en hele nag en die hele volgende dag wakker gebly en kwartels bymekaargemaak. Elkeen het ten minste tien homer* bymekaargemaak, en hulle het dit rondom die kamp bly uitsprei. **33** Maar

11:25 *Of "het hulle begin profeteer".
11:31 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. 11:32 *'n Homer was gelyk aan 220 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 11

a Ps 99:7

b Nu 11:17
2Kn 2:9, 15

c 1Sa 10:6
1Sa 19:20

d Eks 17:9
Eks 24:13
Eks 33:11
Nu 27:18-20
De 31:3

e Mr 9:38

f Eks 16:13
Ps 78:26, 27

Tweede kol.

a Ps 78:30, 31
1Kor 10:10

b Nu 33:16
De 9:22

c 1Kor 10:6

d Nu 33:17

HFST. 12

e Eks 2:16, 21

f Eks 4:14-16
Eks 4:30
Eks 15:20
Eks 28:30
Mi 6:4

g Nu 11:1

h Mt 11:29

i Eks 34:5
Nu 11:25

j Ge 15:1
Ge 46:2
Eks 24:9-11

k Ge 31:10, 11

l Heb 3:2, 5

terwyl die vleis nog in hulle mond was, voordat dit gekou kon word, het Jehovah se woede teen die volk opgevlam, en Jehovah het die volk met 'n baie groot slagting getref.^a

34 Hulle het daardie plek dus Kib'rot-Hatta'awa^{*b} genoem, want daar het hulle die mense begrawe wat selfsugtige begeertes geopenbaar het.^c **35** Van Kib'rot-Hatta'awa af het die volk weggetrek na Ha'serot, en hulle het in Ha'serot gebly.^d

12 En Mirjam en Aäron het teen Moses begin praat weens die Kussitiese vrou met wie hy getrou het, want hy het 'n Kussitiese vrou geneem.^e **2** Hulle het gesê: "Het Jehovah net deur Moses gepraat? Het hy nie ook deur ons gepraat nie?"^f En Jehovah het geluister.^g **3** En Moses was verreweg die nederigste van al die mense^{*h} op die hele aarde.

4 Skielik het Jehovah vir Moses en Aäron en Mirjam gesê: "Julle drie, gaan uit na die tent van samekoms." Toe het hulle drie uitgegaan. **5** En Jehovah het in die wolkkolom neergedaalⁱ en by die ingang van die tent gaan staan en Aäron en Mirjam geroep. Hulle het albei nader gegaan. **6** Hy het toe gesê: "Luister asseblief na my woorde. As daar 'n profeet van Jehovah onder julle is, sal ek my in 'n visioen aan hom bekend maak,^j en ek sal in 'n droom met hom praat.^k **7** Maar dit is nie die geval met my kneg Moses nie! My hele huis word aan hom toevertrou.^{*l} **8** Ek praat direk^{*}

11:34 *Beteken "graf van die begeerte". 12:3 *Of "was baie nederig (sagmoedig), meer as enige ander mens". 12:7 *Lett. "In my hele huis toon hy dat hy getrou is". 12:8 *Lett. "mond tot mond".

met hom,^a openlik, nie deur raaisels nie, en hy sien die voorkoms van Jehovah. Hoekom was julle dan nie bang om teen my kyk, teen Moses, te praat nie?"

9 En Jehovah was woedend vir hulle, en hy het van hulle af weggegaan. **10** Die wolk het van die tent af weggetrek, en kyk! Mirjam is getref met melaatsheid, so wit soos sneeu.^b Toe het Aäron na Mirjam toe gedraai, en hy het gesien dat sy met melaatsheid getref is.^c **11** Onmiddellik het Aäron vir Moses gesê: "Ek smeek jou, my heer! Moet asseblief nie toelaat dat ons gestraf word vir hierdie sonde nie! Ons het onverstandig opgetree! **12** Moet haar asseblief nie so laat bly nie, soos iemand wat dood is, wie se vlees by geboorte half ontbind* is nie!" **13** En Moses het tot Jehovah begin roep en gesê: "O God, asseblief, genees haar! Asseblief!"^d

14 Jehovah het Moses geantwoord: "Sê nou haar pa het in haar gesig gespoeg. Sou sy nie sewe dae lank verneder gewees het nie? Laat haar sewe dae lank buite die kamp onder kwarentyn geplaas word,^e en daarna mag sy teruggebring word." **15** Mirjam is toe sewe dae lank buite die kamp onder kwarentyn geplaas,^f en die volk het nie weggetrek totdat Mirjam teruggebring is nie. **16** Daarna het die volk van Ha'serot af vertrek^g en in die wildernis Paran kamp opgeslaan.^h

13 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** "Stuur manne uit om Kanaän te verken, die land wat ek aan die Israëliete gee. Julle moet een man van elke stam uitstuur, elkeen 'n hoofmanⁱ onder hulle."^j

12:12 * Lett. "weggevreet".

HFST. 12

a Eks 33:11
De 34:10

b De 24:9

c 2Kr 26:19

d Eks 32:11
Jak 5:16

e Le 13:45, 46
Nu 5:2

f De 24:9

g Nu 11:35
Nu 33:18

h Nu 10:12

HFST. 13

i Eks 18:25
De 1:15

j De 1:22, 23

Tweede kol.

a Nu 12:16
De 1:19

b Nu 13:30
Nu 14:30, 38
Nu 34:18, 19
1Kr 4:15

c Nu 11:28
Nu 13:16
Nu 14:30
Nu 34:17

d Ge 48:5

e Ge 48:17, 19

f Eks 17:9

g De 1:7

h Eks 3:8
De 8:7

i Ne 9:25
Ese 20:6

j De 31:6
Jos 1:6, 9

3 Toe het Moses hulle op bevel van Jehovah van die wildernis Paran^a af uitgestuur. Al die manne was hoofde van die Israëliete. **4** Dit is hulle name: van die stam van Ruben: Sam'mua, die seun van Sakkur; **5** van die stam van Si'meon: Safat, die seun van Hori; **6** van die stam van Juda: Kaleb,^b die seun van Jefun'ne; **7** van die stam van Is'saskar: Jigal, die seun van Josef; **8** van die stam van E'fraim: Hose'a,^c die seun van Nun; **9** van die stam van Benjamin: Palti, die seun van Rafu; **10** van die stam van Se'bulon: Gad'diël, die seun van Sodi; **11** van die stam van Josef,^d vir die stam van Manas'se:^e Gaddi, die seun van Susi; **12** van die stam van Dan: Ammi'ël, die seun van Gemal'li; **13** van die stam van Aser: Setur, die seun van Mi'gael; **14** van die stam van Naf'tali: Nagbi, die seun van Wofsi; **15** van die stam van Gad: Ge'huel, die seun van Magi. **16** Dit is die name van die manne wat Moses gestuur het om die land te verken. En Moses het Hose'a, die seun van Nun, die naam Josua^{af} gegee.

17 Toe Moses hulle stuur om die land Kanaän te verken, het hy vir hulle gesê: "Gaan in die Negeb in en dan op na die bergstreek.^g **18** Kyk watter soort land dit is^h en of die mense wat daarin woon, sterk of swak is, en of hulle min of baie is, **19** en of die land goed of sleg is, en of die stede waarin hulle woon, versterk is of nie. **20** En vind uit of die land ryk of arm is,ⁱ en of daar bome is of nie. Julle moet moedig wees^j en van die vrugte van die land saam-

13:16 * Of "Jehosua". Beteken "Jehovah is redding".

bring.” Dit was toe die seisoen vir die eerste ryp druiwe.^a

21 En hulle het gegaan en die land verken van die wildernis Zin^b af tot by Rehob,^c naby Lebo-Hamat.^{*d} **22** Hulle het in die Negeb ingegaan en by He’bron^e gekom, waar Ahi’man, Sesai en Talmi,^f die Enakiete,^g gewoon het. Terloops, He’bron is sewe jaar voor Soan van Egipte gebou. **23** Toe hulle by die Eskol-vallei* kom,^h het hulle daar ’n tak met een tros druiwe afgesny, wat twee van die manne op ’n stok moes dra. Hulle het ook van die land se grante en vye geneem.ⁱ **24** Hulle het daardie plek die Eskol-vallei* genoem as gevolg van die tros druiwe wat die Israëliete daar afgesny het.

25 Nadat hulle die land 40 dae^k lank verken het, het hulle terugkeer. **26** Hulle het na Moses en Aäron en die hele gemeenskap van Israel in die wildernis Paran, by Kades, terugkeer.^l Hulle het ’n verslag aan die hele gemeenskap van Israel gelewer en vir hulle die vrugte van die land gewys. **27** Dit is die verslag wat hulle aan Moses gelewer het: “Ons het in die land ingegaan waarheen u ons gestuur het, en dit loop beslis oor van melk en heuning,^m en hier is van die vrugte van die land.ⁿ **28** Maar die mense wat in die land woon, is sterk, en die versterkte stede is baie groot. En ons het ook die Enakiete daar gesien.^o **29** Die Amalekiete^p woon in die land van die Negeb,^q en die Hetiete, die Jebusiete^r en die Amoriete^s woon in die bergstreek, en die Kanaänie-

13:21 *Of “die ingang van Hamat”.
13:23 *Of “wadi Eskol”. Sien Woordelys.
13:24 *Of “wadi Eskol”. Sien Woordelys. Eskol beteken “druiwetros”.

HFST. 13

- a Nu 13:23
- b Nu 34:2, 3
Jos 15:1
- c 2Sa 10:6, 8
- d Nu 34:8
- e Ge 13:18
Jos 15:13
Jos 21:11, 12
- f Rig 1:10
- g De 9:1, 2
Jos 11:21
- h Nu 32:9
- i De 1:25
De 8:7-9
- j De 1:24
- k Nu 14:33, 34
- l De 1:19
- m Eks 3:8
Le 20:24
- n De 1:25
- o Nu 13:22, 33
De 1:27, 28
- p Ge 36:12
Eks 17:8
1Sa 15:3
- q Nu 13:17
- r Rig 1:21
2Sa 5:6, 7
- s Ge 10:15, 16

Tweede kol.

- a Eks 23:23
De 7:1
De 20:17
- b Ge 10:19
- c Jos 14:7, 8
- d Nu 32:9
- e Nu 14:36
- f Am 2:9
- g De 1:28
De 9:1, 2

HFST. 14

- h De 1:32, 33
- i De 1:27
Ps 106:25
- j Ps 78:40
- k Nu 14:31
De 1:39
- l Nu 11:5
- m Ne 9:17

te^a woon by die see^b en langs die Jordaanrivier.”

30 Toe het Kaleb die volk probeer kalmeer terwyl hulle voor Moses gestaan het. Hy het gesê: “Laat ons dadelik gaan, en ons sal dit vir seker in besit neem, want ons kan dit beslis verower.”^c **31** Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: “Ons kan nie teen die mense gaan veg nie, want hulle is sterker as ons.”^d **32** En hulle het aangehou om die Israëliete negatiewe dinge te vertel^e oor die land wat hulle verken het. Hulle het gesê: “Die land wat ons gaan verken het, is ’n land wat sy inwoners versblind, en al die mense wat ons daarin gesien het, is manne wat buitengewoon groot is.^f **33** En daar het ons die Nefilim gesien, die kinders van Enak,^g wat van die Nefilim afkomstig is, en in vergelyking met hulle was ons soos sprinkane, in ons oë en in hulle s’n.”

14 Toe het die hele gemeenskap van Israel hard begin uitroep en die hele nag lank gehuil.^h **2** Al die Israëliete het teen Moses en Aäron begin kla,ⁱ en die hele gemeenskap van Israel het teen hulle gepraat en gesê: “As ons maar net in Egipte gesterf het, of as ons maar net in hierdie wildernis gesterf het! **3** Hoekom bring Jehovah ons na hierdie land om deur die swaard doodgemaak te word?^j Ons vyande sal ons vrouens en ons kinders wegvat.^k Is dit nie vir ons beter om na Egipte terug te gaan nie?”^l **4** Hulle het selfs vir mekaar gesê: “Kom ons stel ’n leier aan en gaan terug Egipte toe!”^m

5 Toe het Moses en Aäron met hulle gesigte na die grond toe neergeval voor die hele gemeente van die Israëliete wat

daar bymekaar was. **6** Josua,^a die seun van Nun, en Kaleb,^b die seun van Jefun'ne, wat onder dié was wat die land verken het, het hulle klere geskeur, **7** en hulle het vir die hele gemeenskap van Israel gesê: "Die land wat ons gaan verken het, is 'n baie, baie goeie land.^c **8** As ons Jehovah se goedkeuring het, sal hy ons beslis in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.^d **9** Maar julle moenie in opstand kom teen Jehovah nie, en julle moenie bang wees vir die mense van die land nie,^e want ons sal hulle verslind. Hulle beskerming is van hulle af wegeneem, en Jehovah is met ons.^f Moenie vir hulle bang wees nie."

10 Maar die hele gemeenskap van Israel het gesê dat hulle hulle met klippe gaan doodgooi.^g Toe het Jehovah se heerlikheid bo die tent van samekoms aan die volk Israel verskyn.^h

11 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Hoe lank gaan hierdie volk my sonder respek behandel,ⁱ en hoe lank gaan hulle geen geloof in my stel nie, ten spyte van al die tekens wat ek onder hulle verrig het?" **12** Laat ek hulle met 'n vreeslike siekte tref en hulle verdryf, en laat ek jou 'n groter en magtiger nasie as hulle maak."^k

13 Maar Moses het vir Jehovah gesê: "As u dit doen, sal die Egiptenare, uit wie se land u u volk deur u krag gebring het, daarvan hoor,^l **14** en hulle sal met die inwoners van hierdie land daarvoor praat. Hulle het ook gehoor dat u, Jehovah, met hierdie volk is,^m en dat u persoonlik aan hulle verskyn het.ⁿ U is Jehovah, en u wolk is oor hulle; in die dag gaan u

HFST. 14

a Nu 13:8, 16

b Nu 13:6, 16
Nu 14:30c Nu 13:26, 27
De 1:25
De 8:7, 8

d Eks 3:8

e De 7:17, 18
De 20:3f Eks 33:16
De 20:1

g Eks 17:4

h Eks 16:10

i Eks 16:28
Nu 14:22, 23j De 9:23
Heb 3:19

k Eks 32:10

l Eks 32:12
Ese 20:9m Eks 15:13, 14
Jos 2:10
Jos 5:1n De 4:12
De 5:4

Tweede kol.

a Eks 13:21
Ps 78:14

b De 9:28

c Ps 103:8
Mi 7:18

d Eks 34:6, 7

e Eks 34:9
Ps 78:38

f Jak 5:16

g Ps 72:19
Hab 2:14

h Ne 9:17

i Eks 17:2
Ps 95:9
Ps 106:14
Heb 3:16

j Ps 81:11

k Nu 26:63, 64
Nu 32:11
De 1:35
Ps 95:11
Ps 106:26
Heb 3:18
Heb 4:3l Nu 13:30
Nu 26:65

voor hulle uit in die wolkkolom, en in die nag in die vuurkolom.^a

15 As u hierdie volk almal op een slag doodmaak, sal die nasies wat van u roem gehoor het, sê: **16** 'Jehovah kon nie hierdie volk in die land inbring wat hy aan hulle met 'n eed belowe het nie, en daarom het hy hulle in die wildernis doodgemaak.'^b **17** Asseblief, Jehovah, laat u groot krag gesien word, net soos u belowe het toe u gesê het: **18** 'Jehovah, wat nie gou kwaad word nie en vol lojale liefde* is,^c wat sondes en oortredings vergewe, maar wat die skuldiges beslis nie ongestraf laat bly nie, wat straf vir die oortreding van vaders oor kinders bring, oor die derde geslag en oor die vierde geslag.'^d **19** Vergewe asseblief die oortreding van hierdie volk in ooreenstemming met u groot lojale liefde, net soos u hierdie volk van Egipte af tot nou toe vergeewe het."^e

20 Toe het Jehovah gesê: "Ek vergewe hulle volgens jou woord.^f **21** Maar so waar as wat ek lewe, die hele aarde sal met die heerlikheid van Jehovah gevul word.^g **22** Nie een van die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het^h wat ek in Egipte en in die wildernis verrig het, en wat my nogtans al tien keer getoets hetⁱ en nie na my stem geluister het nie,^j **23** sal ooit die land sien wat ek aan hulle vaders met 'n eed belowe het nie. Nee, nie een van dié wat my sonder respek behandel, sal dit sien nie.^k **24** Maar omdat my kneg Kaleb/^l 'n ander gees geopenbaar het en my heelhartig bly volg het, sal ek hom beslis in die land inbring waarheen hy gegaan het, en sy nageslag sal dit in besit

14:18 *Of "liefderyke goedhartigheid".

neem.^a **25** Aangesien die Amalekiete en die Kanaäniete^b in die vallei woon, moet julle môre terugdraai en na die wildernis vertrek met die pad wat na die Rooisee gaan.”^c

26 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: **27** “Hoe lank sal hierdie slegte volk aanhou om so teen my te kla?^d Ek het die Israëliete se klagtes teen my gehoor.^e **28** Sê vir hulle: “So waar as wat ek lewe,” sê Jehovah, “ek sal aan julle doen presies wat ek julle hoor sê het!” **29** In hierdie wildernis sal julle lyke val,^g ja, almal van julle wat 20 jaar en ouer is en wat registreer is, almal wat teen my gekla het.^h **30** Nie een van julle sal in die land ingaan wat ek met 'n eed aan julle belowe het* sodat julle daarin kan woon nie,ⁱ behalwe Kaleb, die seun van Jefun'ne, en Josua, die seun van Nun.^j

31 ““En wat julle kinders betref, wat julle gesê het deur julle vyande weggevat sal word,^k ek sal hulle inbring, en hulle sal die land leer ken wat julle verwerp het.^l **32** Maar julle eie lyke sal in hierdie wildernis val. **33** En julle kinders sal 40 jaar^m lank herders in die wildernis wees, en hulle sal die gevorder dra vir julle dade van ontrouheid,* totdat die laaste van julle lyke in die wildernis val.ⁿ **34** Julle sal 40 jaar^o lank die gevolge dra van julle oortredings, volgens die getal dae dat julle die land verken het, 40 dae,^p 'n dag vir 'n jaar, 'n dag vir 'n jaar, want julle sal weet wat dit beteken om my teë te staan.*

35 ““Ek, Jehovah, het gepraat. Dit is wat ek aan hier-

14:30 *Lett. “[waaroor] ek my hand opgelig het”. **14:33** *Lett. “prostitusie”. **14:34** *Of “om my as 'n vyand te hê”.

HFST. 14

a Jos 14:9,14

b Nu 13:29

c De 1:40

d Eks 16:28
Nu 14:11

e 1Kor 10:6,10

f Nu 14:2
Nu 26:64
Nu 32:11
De 1:35

g Ps 106:26
1Kor 10:5
Heb 3:17

h Nu 1:45,46
Jud 5

i Eks 6:8

j Nu 26:65
Nu 32:11,12
De 1:34-38

k Nu 14:3
De 1:39

l Ps 106:24

m Nu 32:13
Jos 14:10

n De 1:3
De 2:14

o Ps 95:10
Han 7:36
Han 13:18

p Nu 13:25

Tweede kol.

a Nu 14:29
Heb 3:17

b Nu 13:32

c 1Kor 10:6,10
Jud 5

d Nu 14:30
Nu 26:65
Nu 32:11,12
De 1:35,36
Jos 14:6

e De 1:41

f Le 26:14,17
De 1:42

g Nu 13:29

h 2Kr 15:2

i De 1:43

die slegte volk gaan doen, aan almal wat teen my bymekaar-gekom het: In hierdie wildernis sal hulle aan hulle einde kom, en hier sal hulle sterf.^a **36** Die manne wat Moses gestuur het om die land te verken en wat die hele gemeenskap van Israel teen hom laat kla het toe hulle met 'n negatiewe verslag oor die land teruggekeer het,^b **37** ja, die manne wat die negatiewe verslag oor die land terugbring het, sal gestraf word en voor Jehovah sterf.^c **38** Maar Josua, die seun van Nun, en Kaleb, die seun van Jefun'ne, wat onder dié was wat die land gaan verken het, sal beslis bly lewe.”^d

39 Toe Moses hierdie woorde aan al die Israëliete oorgedra het, was die volk baie hartseer. **40** En hulle het die oggend vroeg opgestaan en na die hoogtes van die bergstreek probeer opgaan en gesê: “Hier is ons, gereed om op te gaan na die plek waarvan Jehovah gepraat het, want ons het gesondig.”^e **41** Maar Moses het gesê: “Hoekom gaan julle teen die bevel van Jehovah? Julle sal nie suksesvol wees nie. **42** Moenie gaan veg nie, want Jehovah is nie met julle nie, en julle sal deur julle vyande verslaan word.^f **43** Want julle sal teen die Amalekiete en die Kanaäniete te staan kom,^g en julle sal deur die swaard doodgemaak word. Omdat julle opgehou het om Jehovah te volg, sal Jehovah nie met julle wees nie.”^h

44 Maar hulle was vermetel* en het na die hoogtes van die bergstreek begin opgaan,ⁱ maar die ark van Jehovah se verbond en Moses het nie die kamp

14:44 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

verlaat nie.^a **45** Toe het die Amalekiete en die Kanaäniete wat in die bergstreek gewoon het, afgekom en hulle verslaan en hulle tot by Horma verstrooi.^b

15 Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israëliete: 'Wanneer julle uiteindelik in die land kom wat ek aan julle gee om in te woon^c **3** en julle uit die beeste of uit die kleinvee 'n vuuroffer aan Jehovah bring – hetsy 'n brandoffer^d of 'n offerande om 'n spesiale gelofte te vervul of 'n vrywillige offer^e of 'n offer tydens julle seisoenfeeste^f om 'n aangename* geur vir Jehovah^g te laat opgaan – **4** dan moet die een wat sy offer aanbied, ook vir Jehovah 'n graanoffer van 'n tiende van 'n efa* fynmeel aanbied^h wat met 'n kwart hinⁱ olie gemeng is. **5** Jy moet saam met die brandoffer of saam met elke ramlam wat geoffer word, ook 'n kwart hin wyn as 'n drankoffer bring.^j **6** Vir 'n skaapram moet jy 'n graanoffer van twee tiendes van 'n efa fynmeel bring wat met 'n derde van 'n hin olie gemeng is. **7** En jy moet 'n derde van 'n hin wyn as 'n drankoffer aanbied, as 'n aangename* geur vir Jehovah.

8 "Maar as jy 'n bul uit die kudde as 'n brandoffer^j of 'n offerande bring om 'n spesiale gelofte te vervul^k of as vredeoffers* aan Jehovah,^l **9** moet jy saam met die bul uit die kudde 'n graanoffer^m van drie tiendes van 'n efa fynmeel aanbied wat met 'n halwe hin olie

15:3, 7, 10, 13, 14 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". 15:4 *'n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanb. B14. **n Hin was gelyk aan 3,67 l. Sien Aanb. B14. 15:8 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 14

a Nu 10:33

b Nu 21:1, 3

De 1:44

HFST. 15

c Ge 15:18

d Le 1:2, 3

e Le 7:16

Le 22:18, 19

Le 22:21

f Le 23:4

Nu 28:16

Nu 29:1

De 16:13, 16

g Le 1:9

h Eks 29:40

Le 2:1, 11

i Nu 28:6, 7

Nu 28:11, 14

j Le 1:3

k Le 7:16

l Le 3:1, 3

Le 7:11

m Le 6:14

Nu 28:11, 12

Nu 29:6

Tweede kol.

a Nu 28:11, 14

b Eks 12:49

Le 24:22

Nu 9:14

c Le 19:34

d Jos 5:11, 12

e Eks 23:19

Le 2:14

Nu 18:8, 12

De 26:1, 2

Spr 3:9

gemeng is. **10** Jy moet ook 'n halwe hin wyn as 'n drankoffer^a aanbied, as 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah. **11** Dit is wat gedoen moet word vir elke bul, elke skaapram, elke ramlam en elke bok. **12** Ongeag hoeveel diere julle offer, julle moet so doen vir elke dier wat julle offer. **13** Dit is hoe elke gebore Israëliet 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah moet aanbied.

14 "As 'n uitlander wat by julle woon of iemand wat reeds geslagte lank onder julle is, 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah bring, moet hy doen net soos julle doen.^b **15** Julle wat deel van die gemeente is sowel as die uitlander wat by julle woon, sal net een wetsbepaling hê. Dit moet 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag wees. Die uitlander sal soos julle wees in Jehovah se oë.^c **16** Daar moet net een wet en een regterlike bevel wees vir julle en vir die uitlander wat by julle woon."

17 Jehovah het verder vir Moses gesê: **18** "Sê vir die Israëliete: 'Wanneer julle in die land kom waarheen ek julle bring **19** en julle van die opbrengs* van die land eet,^d moet julle 'n bydrae aan Jehovah gee. **20** Julle moet 'n bydrae van julle eerste growwe meel^e in die vorm van ringvormige brode gee. Julle moet dit bydra net soos julle die bydrae van 'n dorsvloer gee. **21** In al julle geslagte moet julle 'n deel van julle eerste growwe meel* as 'n bydrae aan Jehovah gee.

22 "En as julle 'n fout maak en nie gehoorsaam is aan al

15:19 *Lett. "brood". 15:20, 21 *Of "van die eersteling van julle growwe meel".

hierdie gebooi wat Jehovah aan Moses gegee het nie **23** – alles wat Jehovah vir julle en julle nageslag deur middel van Moses beveel het van die dag af dat Jehovah dit beveel het – **24** en as dit onopsetlik gedoen is en sonder dat die gemeenskap van Israel dit besef, dan moet die hele gemeenskap een jong bul bring as 'n brandoffer met 'n aangename* geur vir Jehovah sowel as die graanoffer en die drankoffer wat daarmee saamgaan, volgens die gewone prosedure,^a en een boklam as 'n sonde-offer.^b **25** Die priester sal vir die hele gemeenskap van Israel versoening doen, en hulle sal daarvoor vergewe word,^c want dit was 'n fout, en hulle het 'n vuuroffer aan Jehovah en 'n sonde-offer voor Jehovah vir hulle fout gebring. **26** Die hele gemeenskap van Israel sal vergewe word, asook die uitlander wat onder hulle woon, want dit was 'n fout wat die hele volk gemaak het.

27 “As enigiemand onopsetlik sondig, moet hy 'n bokooi in haar eerste jaar as 'n sonde-offer aanbied.^d **28** En die priester sal versoening doen vir die persoon wat 'n fout gemaak het en onopsetlik voor Jehovah gesondig het. Hy sal vir die fout versoening doen, en die persoon sal vergewe word.^e **29** Daar moet net een wet wees vir iemand wat onopsetlik sondig, vir die gebore Israëliet sowel as die uitlander wat onder hulle woon.^f

30 “Maar die persoon wat opsetlik sondig,^g of hy nou 'n gebore Israëliet of 'n uitlander is, laster teen Jehovah en moet doodgemaak word en so uit sy volk verwyder word. **31** Om-

15:24 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”.

HFST. 15

a Nu 15:8-10

b Nu 28:15

c Le 4:20
Heb 2:17
1Jo 2:1, 2

d Le 4:27, 28

e Le 4:32, 35

f Eks 12:49
Le 24:22
Nu 9:14
Nu 15:15

g Eks 21:14
De 17:12
Heb 10:26, 27

Tweede kol.

a Heb 10:28

b Ese 18:20

c Eks 20:9, 10
Eks 35:2
De 5:13, 14

d Le 24:11, 12

e Eks 31:14

f Le 24:14

g De 22:12
Mt 23:5

h De 11:18

i Eks 34:15

j Le 11:44
Ro 12:1
1Pe 1:15

dat hy geen respek vir Jehovah se woord getoon het nie en sy gebod verbreek het, moet dié persoon beslis doodgemaak word.^a Hy sal verantwoordelik gehou word vir sy oortreding.”^b

32 Terwyl die Israëliete in die wildernis was, het hulle op die Sabbatdag 'n man gekry wat stukke hout bymekaarmaak.^c **33** Die mense wat hom gekry het terwyl hy die stukke hout bymekaargemaak het, het hom na Moses en Aäron en die hele gemeenskap van Israel gebring. **34** Hulle het hom in aanhouding geplaas^d omdat daar nog nie vasgestel is wat met hom gedoen moet word nie.

35 En Jehovah het vir Moses gesê: “Die man moet beslis doodgemaak word,^e en die hele gemeenskap van Israel moet hom buite die kamp met klippe doodgooi.”^f **36** Toe het die hele gemeenskap van Israel hom tot buite die kamp gebring en hom met klippe doodgegooi, net soos Jehovah Moses beveel het.

37 Jehovah het verder vir Moses gesê: **38** “Sê vir die Israëliete dat hulle in al hulle geslagte fraiingrande aan die some van hulle klere moet maak, en hulle moet 'n blou tontjie bo die fraiingrand van die soom aanbring.^g **39** ‘Julle moet hierdie fraiingrand hê sodat julle dit sal sien en aan al die gebooi van Jehovah sal dink en daaraan gehoorsaam sal wees.^h Julle mag nie julle hart en julle oë volg nie, want dit maak julle ontrou aan my.*ⁱ **40** Dit sal julle help om aan al my gebooi te dink, en julle sal daaraan gehoorsaam wees en heilig wees vir julle God.^j **41** Ek is Jehovah julle God, wat julle uit

15:39 *Of “dat julle geestelike prostitusie pleeg”.

Egipte uitgelei het om te bewys dat ek julle God is.^a Ek is Jehovah julle God.”^b

16 Toe het Korag,^c die seun van Jishar,^d die seun van Kehat,^e die seun van Levi,^f in opstand gekom saam met Datan en Abi'ram, die seuns van Eli'ab,^g en On, die seun van Pelet, uit die stam van Ruben.^h **2** Hulle het teen Moses in opstand gekom saam met 250 Israelitiese manne, hoofmanne van die gemeenskap, manne wat uit die gemeente uitgekies was, belangrike manne. **3** Toe het hulle bymekaargekom en vir Moses en Aäron gesê: “Ons het nou genoeg van julle gehad! Die hele gemeenskap van Israel, hulle almal, is heilig,ⁱ en Jehovah is met hulle.^k Hoekom moet julle julle dan bo die gemeente van Jehovah stel?”

4 Toe Moses dit hoor, het hy onmiddellik met sy gesig na die grond toe neergebuig. **5** Toe het hy vir Korag en al sy ondersteuners gesê: “Môreoggend sal Jehovah bekend maak wie aan hom behoort^l en wie heilig is en wie hom moet nader,^m en wie hy ook al kies,ⁿ sal hom nader. **6** Korag, jy en al jou ondersteuners^o moet die volgende doen: Neem vuurbakke^p **7** en sit môre vuur* daarin en sit reukwerk daarop voor Jehovah, en die man wat Jehovah sal kies,^q hy is die heilige. Kinders van Levi,^r julle het te ver gegaan!”

8 Moses het toe vir Korag gesê: “Luister asseblief, kinders van Levi. **9** Beteken dit vir julle so min dat die God van Israel julle uit die gemeenskap van Israel afgesonder het^s en julle toegelaat het om hom te nader om die diens in verband met Je-

HFST. 15

- a Ge 17:8
Eks 29:45
Le 25:38
b Eks 3:15
Eks 6:2,3

HFST. 16

- c Jud 11
d Eks 6:21
e Eks 6:18
f Eks 6:16
g Nu 26:7-9
h Ge 46:8
i Nu 12:1, 2
Nu 14:2
Ps 106:16
j Eks 19:6
k Eks 29:45
l 2Ti 2:19
m Eks 28:43
Le 21:6
n Eks 28:1
Nu 17:5
Ps 105:26
o Nu 16:2
p Le 10:1
q Nu 3:10
r Nu 16:1
s Nu 3:9, 41

Tweede kol.

- a Nu 1:53
Nu 3:6
Nu 4:4
De 10:8
b Flp 2:3
c Eks 16:8
Ps 106:16
d Nu 16:1
e Eks 16:3
Nu 14:28, 29
f Eks 3:8
Le 20:24
g 1Sa 12:1, 3
Han 20:33
2Kor 7:2

hovah se tabernakel te verrig en voor die gemeenskap van Israel te staan om hulle te dien?^a

10 Beteken dit vir jou so min dat hy jou en al jou broers, die kinders van Levi, naby hom gebring het? Moet julle ook nog die priesterskap probeer verkry?^b **11** Jy en al jou ondersteuners wat bymekaargekom het, is dus teen Jehovah. En wie is Aäron dat julle teen hom sou kla?^c

12 Later het Moses vir Datan en Abi'ram,^d die seuns van Eli'ab, laat roep, maar hulle het gesê: “Ons sal nie kom nie! **13** Is dit nie erg genoeg dat jy ons uit 'n land gebring het wat oorloep van melk en heuning om ons in die wildernis te laat sterf nie?^e Nou wil jy ook nog oor ons baaspeel! **14** Die feit is: Jy het ons nie in 'n land ingebring wat oorloep van melk en heuning^f of vir ons landerye en wingerde as 'n erfdeel gegee nie. Wil jy hê dat hierdie manne jou blindelings moet volg?^g Ons sal nie kom nie!”

15 Moses het toe baie kwaad geword en vir Jehovah gesê: “Moenie hulle graanoffer aanvaar nie. Ek het nie eers 'n donkie van hulle geneem nie, en ek het nie een van hulle sleg behandel nie.”^g

16 Toe het Moses vir Korag gesê: “Jy en al jou ondersteuners moet môre voor Jehovah verskyn, jy en hulle en Aäron. **17** Elkeen moet sy vuurbak neem en reukwerk daarop sit, en elkeen sal sy vuurbak voor Jehovah aanbied, 250 vuurbakke, en jy en Aäron moet ook elkeen julle vuurbak neem.” **18** Elkeen het toe sy vuurbak geneem, en hulle het vuur* en reukwerk daarop gesit en by

16:14 *Lett. “Wil jy die oë van hierdie manne uitsteek?”

16:7, 18 *Verwys moontlik na brandende kole.

die ingang van die tent van samekoms saam met Moses en Aäron gaan staan. **19** Toe Korag sy ondersteuners^a teen hulle bymekaargebring het by die ingang van die tent van samekoms, het Jehovah se heerlikheid aan die hele gemeenskap van Israel verskyn.^b

20 Jehovah het toe vir Moses en Aäron gesê: **21** "Skei julle af van hierdie groep, sodat ek hulle in 'n oomblik kan vernietig."^c **22** Toe het hulle met hulle gesig na die grond toe neergebui en gesê: "O God, die God wat aan alle mense lewe gee,^d sal een man se sonde veroorsaak dat u vir die hele gemeenskap van Israel kwaad word?"^e

23 Jehovah het toe vir Moses gesê: **24** "Sê vir die gemeenskap van Israel: 'Maak dat julle wegkom rondom die tente van Korag, Datan en Abi'ram!'"^f

25 Daarna het Moses opgestaan en na Datan en Abi'ram toe gegaan, en die ouermanne^g van Israel het saam met hom gegaan. **26** Hy het vir die gemeenskap van Israel gesê: "Beweeg asseblief weg van die tente van hierdie goddelose manne en moenie aan enigiets raak wat aan hulle behoort nie, sodat julle nie in al hulle sondes weggevee word nie." **27** Hulle het onmiddellik wegbeveeg van die tente van Korag, Datan en Abi'ram. En Datan en Abi'ram het uitgekom en by die ingang van hulle tente gaan staan, saam met hulle vrouens, hulle seuns en hulle kindertjies.

28 Toe het Moses gesê: "So sal julle weet dat Jehovah my gestuur het om al hierdie dinge te doen en dat dit nie uit my eie hart is nie: **29** As hierdie mense 'n natuurlike dood sterf soos

16:22 *Lett. "die God van die geeste van elke soort vlees".

HFST. 16

a Nu 16:2

b Nu 12:5
Nu 14:10

c Nu 3:10, 38
Nu 16:45

d Job 12:10
Pr 3:19
Pr 12:7

e Ge 18:23

f Nu 16:1, 2

g Nu 11:16

Tweede kol.

a De 18:21, 22

b Nu 26:10
De 11:6
Ps 106:17

c Eks 6:24
Nu 26:11
1Kr 6:31, 37

d Jud 11

e Le 10:1, 2
Nu 11:1

f Nu 16:17
Nu 26:10
Ps 106:18

g Nu 16:6, 7

h Eks 38:1

alle ander mense en as hulle straf dieselfde is as dié van die hele mensdom, dan het Jehovah my nie gestuur nie.^a **30** Maar as Jehovah iets buitengewoons aan hulle doen en die aarde oopgaan* en hulle insluk saam met alles wat aan hulle behoort en hulle lewend in die Graf[#] afdgaan, dan sal julle beslis weet dat hierdie manne disrespekvol was teenoor Jehovah."

31 Onmiddellik nadat hy al hierdie woorde gesê het, het die grond onder hulle oopgeskeur.^b

32 En die aarde het oopgegaan* en hulle ingesluk, saam met hulle huisgesinne en almal wat aan Korag behoort het^c en al hulle besittings. **33** Hulle en almal wat aan hulle behoort het, het lewend in die Graf[#] afgegaan, en die aarde het hulle bedek. So is hulle onder die gemeente uitgeroei.^d **34** Al die Israëliete wat om hulle was, het gevlug toe hulle hulle geskree hoor en het gesê: "Ons is bang dat die aarde ons gaan insluk!" **35** Toe het 'n vuur van Jehovah af gekom^e en die 250 manne verteer wat die reukwerk geoffer het.^f

36 Jehovah het toe vir Moses gesê: **37** "Sê vir Elea'sar, die seun van die priester Aäron, dat hy die vuurbakke^g uit die vuur moet neem, want dit is heilig. Sê ook vir hom dat hy die vuur* 'n ent daarvandaan moet uitstrooi. **38** Dun metaalplate moet gemaak word van die vuurbakke van die manne wat hulle lewe verloor het omdat hulle gesondig het, en die altaar moet daarmee oorgetrek word,^h want hulle het die vuurbakke voor Jehovah aangebied,

16:30 *Lett. "sy mond oopmaak". **16:30, 33** [#]Of "Sjeool". Sien Woordelys. **16:32** *Lett. "sy mond oopgemaak". **16:37** *Verwys blykbaar na kole of as.

en dit het heilig geword. Dit moet vir die Israeliete as 'n teken dien.”^a **39** Toe het die priester Elea'sar die kopervuurbakke geneem wat aangebied is deur dié wat deur die vuur verteer is, en hy het dit plat geslaan om die altaar daarmee oor te trek, **40** net soos Jehovah vir hom deur middel van Moses gesê het. Dit was 'n herinnering vir die Israeliete dat geen persoon* wat nie uit die nageslag van Aäron is, mag nader kom om reukwerk voor Jehovah te brand nie^b en dat niemand soos Korag en sy ondersteuners moet word nie.^c

41 En net die volgende dag het die hele gemeenskap van Israel teen Moses en Aäron begin kla^d en gesê: “Julle twee het Jehovah se volk doodgemaak.” **42** Toe hulle teen Moses en Aäron bymekaargekom het, het hulle na die tent van samekoms gedraai en gesien dat die volk dit bedek het en dat Jehovah se heerlikheid begin verskyn het.^e

43 Moses en Aäron het toe voor die tent van samekoms gekom,^f **44** en Jehovah het vir Moses gesê: **45** “Gaan weg van hierdie mense af, sodat ek hulle in 'n oomblik kan vernietig.”^g Toe het hulle met hulle gesig na die grond toe neergebuig.^h **46** En Moses het vir Aäron gesê: “Neem die vuurbak en sit vuur* van die altaarⁱ daarin en sit reukwerk daarop en gaan gou na die gemeenskap van Israel toe en doen versoening vir hulle,^j want Jehovah is woedend. Die plaag het begin!” **47** Aäron het dit dadelik geneem, net soos Moses gesê het, en tussen die gemeente

16:40 *Lett. “geen vreemdeling”.
16:46 *Verwys moontlik na brandende kole.

HFST. 16

a Nu 16:5
Nu 17:10

b Nu 3:10
Nu 18:7
2Kr 26:16-18

c Ps 106:17
Jud 11

d Nu 14:2

e Eks 16:7
Nu 14:10
Nu 16:19

f Nu 20:2, 6

g Eks 23:20, 21
1Kor 10:6, 10

h Nu 16:21, 22

i Le 6:12

j Eks 34:9
Nu 8:19

Tweede kol.

HFST. 17

a Nu 1:4, 16

b Eks 34:29

c Eks 25:22
Eks 30:36
Le 16:2

d Nu 16:5

e Nu 11:1
Nu 14:27
Nu 16:11
1Kor 10:6, 10

f Nu 14:2
Nu 16:13, 41

in gehardloop, en hy het gesien dat die plaag onder die volk begin het. Toe het hy die reukwerk op die vuurbak gesit en vir die volk versoening begin doen. **48** Hy het tussen die dooies en die lewendes bly staan, en die plaag het uiteindelik opgehou. **49** Dié wat deur die plaag gesterf het, was 14 700, buiten dié wat weens Korag gesterf het. **50** Nadat die plaag opgehou het, het Aäron na Moses terugkeer by die ingang van die tent van samekoms.

17 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** “Praat met die Israeliete en neem by hulle een staf vir elke vaderhuis, van die hoofmanne van elke vaderhuis,^a altesaam 12 stawwe. Skryf elkeen se naam op sy staf. **3** Jy moet Aäron se naam op Levi se staf skryf, want daar is een staf vir die hoof van elke vaderhuis. **4** Sit die stawwe neer in die tent van samekoms voor die Getuienis,^b waar ek gereeld aan julle verskyn.^c **5** En die staf van die man wat ek kies,^d sal bloeisels kry, en ek sal 'n einde maak aan die Israeliete se klagtes teen my^e en teen julle.”^f

6 Toe het Moses met die Israeliete gepraat, en elke hoofman het vir hom 'n staf gegee – een staf vir die hoofman van elke vaderhuis, altesaam 12 stawwe – en Aäron se staf was tussen hulle stawwe. **7** Daarna het Moses die stawwe voor Jehovah in die tent van die Getuienis neergesit.

8 Die volgende dag het Moses in die tent van die Getuienis ingegaan, en kyk! Aäron se staf vir die huis van Levi het blomknoppies en bloeisels voortgebring en ryp amandels gedra. **9** Moses het toe al die stawwe wat voor Jehovah was, na al die Israeliete uitgebring. Hulle het

daarna gekyk, en elke man het sy staf geneem.

10 Jehovah het toe vir Moses gesê: "Sit Aäron se staf^a terug voor die Getuienis as iets wat bewaar moet word as 'n teken^b vir die kinders van opstandigheid,^c sodat hulle klagtes teen my kan ophou en sodat hulle nie sterf nie." **11** Moses het dadelik gedoen net soos Jehovah hom beveel het. Hy het net so gedoen.

12 Die Israeliete het toe vir Moses gesê: "Nou gaan ons sterf! Dit is verby met ons. Ons gaan almal sterf! **13** Enigiemand wat selfs naby Jehovah se tabernakel kom, sal sterf!^d Is dit hoe ons tot ons einde gaan kom?"^e

18 Jehovah het toe vir Aäron gesê: "Jy en jou seuns en jou vaderhuis sal verantwoordelik gehou word vir enige oortreding teen die heiligdom,^f en jy en jou seuns sal verantwoordelik gehou word vir enige oortreding teen julle priesterskap.^g **2** En laat jou broers van die stam van Levi, die stam van jou vaders, ook saam met jou nader kom, sodat hulle by jou kan aansluit en jou en jou seuns voor die tent van die Getuienis kan dien.^h **3** Hulle moet hulle verantwoordelikhede teenoor jou en teenoor die hele tent nakom.ⁱ Maar hulle moenie naby die voorwerpe van die heiligdom en die altaar kom nie, sodat nie hulle of julle sal sterf nie.^j **4** Hulle moet by jou aansluit en hulle verantwoordelikhede in verband met die tent van samekoms nakom en al die dienste in verband met die tent verrig, en niemand behalwe hulle* mag naby julle kom nie.^k

18:4, 7 *Lett. "geen vreemdeling", d.w.s. iemand wat nie familie van Aäron is nie.

HFST. 17

- a Heb 9:4
- b Nu 16:38
- c De 9:7
De 31:27
- d Nu 1:51
Nu 18:4, 7
- e Nu 16:49

HFST. 18

- f Eks 25:8
Le 21:10-12
- g Eks 28:38
Le 22:9
Nu 18:23
- h Nu 1:53
Nu 3:6
Nu 8:22
Nu 16:9
- i Nu 3:25, 26
Nu 3:30, 31
Nu 3:36, 37
- j Nu 4:15, 20
Nu 16:39, 40
- k Nu 1:51
Nu 3:10

Tweede kol.

- a Le 24:2, 3
Nu 3:32
- b Eks 30:7
- c Nu 16:46
- d Nu 3:9, 12
Nu 8:15, 16
- e Nu 8:19
- f Le 16:2, 12
Heb 9:3, 7
- g 1Sa 2:28
Heb 5:4
- h Nu 3:10
Nu 16:39, 40
- i Eks 23:19
Le 27:28, 30
Nu 18:11, 26
- j Le 7:34
Nu 5:9
- k Le 2:3
- l Le 5:11, 12
Le 6:25, 26
- m Le 7:1, 7
- n Eks 29:32
Le 6:14, 16
Le 10:12, 13
- o Le 6:18
Le 7:1, 6
Le 14:13
Le 21:22
- p Nu 15:20
Ese 44:30
- q Eks 29:27
Le 7:34
- r Le 10:14
De 18:3
- s Le 22:4-6
- t Spr 3:9

5 Julle moet julle verantwoordelikheid teenoor die heiligdom^a en die altaar^b nakom, sodat my woede nie weer teen die Israeliete opvlam nie.^c **6** Ek het julle broers, die Leviëte, onder die Israeliete uit geneem as 'n geskenk vir julle.^d Hulle word aan Jehovah gegee om die diens in verband met die tent van samekoms te verrig.^e **7** Jy en jou seuns is verantwoordelik vir julle priesterlike pligte in verband met die altaar en vir wat agter die gordyn^f is,^f en julle moet hierdie diens verrig.^g Ek het die diens van die priesterskap as 'n geskenk aan julle gegee, en enige ander persoon* wat nader kom, moet doodgemaak word."^h

8 Jehovah het verder vir Aäron gesê: "Ek het jou aangestel oor die bydraes wat aan my gegee word.ⁱ Ek het 'n deel van al die heilige dinge wat deur die Israeliete bygedra word, as 'n permanente voorsiening aan jou en jou seuns gegee.^j **9** Die volgende sal joune word uit die besonder heilige vuuroffers: elke offer wat hulle bring, insluitende hulle graanoffers^k en hulle sonde-offers^l en hulle skuldoffers^m wat hulle aan my bring. Dit is iets besonder heiligs vir jou en jou seuns. **10** Jy moet dit in 'n besonder heilige plek eet.ⁿ Al die mans mag dit eet. Dit sal iets heiligs vir jou word.^o **11** Die volgende behoort ook aan jou: die gawes wat die Israeliete bydra^p en al hulle bewegeoffers.^q Ek het dit aan jou en jou seuns en jou dogters as 'n permanente voorsiening gegee.^r Elkeen in jou huis wat rein is, mag dit eet.^s

12 "Die beste van die olie en die beste van die nuwe wyn en die graan, die eerste opbrengs*^t

18:7 *Of "voorhangsel". **18:12** *Of "die eersteling". Sien Woordelys.

wat hulle aan Jehovah gee, dit gee ek aan jou.^a **13** Die eerste opbrengs van alles op hulle land, wat hulle vir Jehovah sal bring, sal joune word.^b Elkeen in jou huis wat rein is, mag dit eet.

14 "Alles in Israel wat gewy is,* moet joune word.^c

15 "Elke eersgeborene van alle lewende dinge^d wat hulle vir Jehovah sal aanbied, hetsy mens of dier, moet joune word. Maar jy moet die eersgeborene van die mense vir seker loskoop,^e en jy moet die eersgeborene van die onrein diere loskoop.^f **16** Jy moet dit loskoop met die loskoopprys wanneer dit 'n maand oud of ouer is, volgens die vasgestelde waarde van vyf sikkels* silwer,^g volgens die standdaarsikkel van die heiligdom,^h dit wil sê 20 gera.^a

17 Maar die eersgebore bul en die eersgebore ramlam en die eersgebore bok moet jy nie loskoop nie.^b Hulle is iets heiligs. Jy moet hulle bloed op die altaar sprinkelⁱ en hulle vet laat rook as 'n vuuroffer met 'n aangename* geur vir Jehovah.^j **18** En hulle vleis moet joune word. Soos die bors van die beewegoffer en soos die regterboud moet dit joune word.^k **19** Ek het al die heilige bydraes wat die Israëliete aan Jehovah sal bydra,^l as 'n permanente voorsiening aan jou en jou seuns en jou dogters gegee.^m Dit is 'n permanente soutverbond*

18:14 *D.w.s. alles wat vir God geheilig is deurdat dit aan God gewy is en nie teruggeneem of teruggekoop kan word nie. **18:16** *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. ^aOf "volgens die heilige sikkel". ^b'n Gera was gelyk aan 0,57 g. Sien Aanh. B14. **18:17** *Of "kalmerende". Lett. "rustige". **18:19** *D.w.s. 'n blywende en onveranderlike verbond.

HFST. 18

a Le 2:14
De 18:4

b Eks 23:19

c Le 27:21, 28

d Eks 13:2
Le 27:26
Nu 3:13

e Eks 13:13

f Eks 34:20
Le 27:27

g Le 27:6

h Eks 22:30
De 15:19

i Le 17:11

j Le 3:16

k Eks 29:26
Le 7:31, 34

l Eks 23:19
Nu 15:18, 19
Nu 18:11, 26
Nu 31:28, 29

m 2Kr 31:4

Tweede kol.

a Nu 26:62, 63
De 10:9
De 14:27
Jos 14:3

b De 18:1, 2
Jos 18:7
Ese 44:28

c Le 27:30
Ne 10:37
Ne 12:44
Heb 7:5

d Nu 3:6, 7
Nu 18:1

e Jos 13:33

f De 10:9

g Nu 18:21
De 12:19

h Ne 10:38

i Nu 15:20

voor Jehovah, vir jou en jou nageslag."

20 Jehovah het verder vir Aäron gesê: "Jy sal nie 'n erfdeel in hulle land hê nie, en jy sal nie onder hulle 'n deel van die grond kry nie.^a Ek is jou deel en jou erfdeel onder die Israëliete.^b

21 "Kyk, ek gee aan die kinders van Levi elke tiende deel^c in Israel as 'n erfdeel, as beloning vir die diens wat hulle verrig, die diens van die tent van samekoms. **22** Die Israëliete mag nie meer naby die tent van samekoms gaan nie, anders sal hulle skuldig wees aan sonde en sterf. **23** Die Leviete moet self die diens in verband met die tent van samekoms verrig, en hulle sal verantwoordelik gehou word vir die volk se oortreding.^d Dit is 'n permanente wetsbepaling vir julle en julle nageslag: Hulle mag geen erfdeel onder die Israëliete ontvang nie.^e **24** Want ek gee die tiende wat die Israëliete as 'n bydrae aan Jehovah sal gee, as 'n erfdeel aan die Leviete. Daarom het ek vir hulle gesê: 'Hulle mag geen erfdeel onder die Israëliete ontvang nie.'"^f

25 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **26** "Jy moet vir die Leviete sê: 'Julle sal die tiendes, wat ek vir julle as 'n erfdeel gee,^g van die Israëliete ontvang, en julle moet 'n tiende van daardie tiendes as 'n bydrae aan Jehovah gee.^h **27** En dit sal as julle bydrae beskou word, asof dit die graan van julle dorsvloerⁱ of die volle opbrengs van julle wynders of oliepers is. **28** So moet julle ook 'n bydrae aan Jehovah uit al die tiendes gee wat julle van die Israëliete ontvang, en daarvan moet julle die bydrae vir Jehovah aan die priester Aäron gee. **29** Julle moet

die allerbeste deel van elke geskenk wat julle ontvang as 'n bydrae aan Jehovah gee,^a as iets heiligs.¹

30 “En jy moet vir die Leviëte sê: ‘Wanneer julle die beste daarvan bydra, sal die res beskou word as julle opbrengs van julle dorsvloer en as die opbrengs van julle wynpers of oliepers. **31** Julle en julle huisgesin mag dit op enige plek eet, want dit is julle beloning vir julle diens by die tent van samekoms.^b **32** Julle sal nie in hierdie verband skuldig wees aan sonde solank julle die beste daarvan bydra nie, en julle mag nie die heilige dinge van die Israeliete onheilig nie, anders sal julle sterf.’”^c

19 Jehovah het weer met Moses en Aäron gepraat en gesê: **2** “Dit is 'n wetsbepaling wat Jehovah gegee het: ‘Sê vir die Israeliete dat hulle vir jou 'n gesonde rooi koei moet bring wat geen liggaamsgebrek het nie^d en wat nog nooit 'n juk gedra het nie. **3** Julle moet dit vir die priester Elea'sar gee, en hy moet dit uit die kamp uitlei, en dit moet voor hom geslag word. **4** Dan moet die priester Elea'sar van die bloed daarvan met sy vinger neem en die bloed sewe keer in die rigting van die voorkant van die tent van samekoms spat.^e **5** Die koei moet dan voor sy oë verbrand word. Die vel en die vleis en die bloed sowel as die mis moet verbrand word.^f **6** En die priester moet sederhout, hisop^g en helderrooi materiaal neem en dit in die vuur gooi waarop die koei verbrand word. **7** Die priester moet dan sy klere was en hy moet in water bad. Daarna mag die priester in die kamp inkom, maar hy sal tot die aand toe onrein wees.

HFST. 18

a Nu 18:8, 12

b 1Kor 9:13

c Le 22:2, 15

HFST. 19

d Le 22:20

Mal 1:14

e Heb 9:13, 14

f Le 4:11, 12

g Ps 51:7

Tweede kol.

a Heb 9:13, 14

b Nu 19:13, 21

c Eks 12:49

Le 24:22

Nu 15:15

d Le 21:1, 11

Nu 5:2

Nu 6:9

Nu 9:6

Nu 31:19

e Le 15:31

f Le 22:3

Heb 10:28

g Nu 19:9

h Le 11:31, 32

i Nu 19:11

Nu 31:19

8 “Die een wat die koei verbrand het, moet sy klere in water was en hy moet in water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.

9 ““n Rein man moet die as van die koei bymekaarmaak^a en dit buite die kamp op 'n rein plek sit, en dit sal deur die gemeenskap van Israel gehou word om water voor te berei wat vir reiniging gebruik sal word.^b Dit is 'n sonde-offer. **10** Die een wat die as van die koei bymekaarmaak, moet sy klere was, en hy sal tot die aand toe onrein wees.

“Dit sal 'n permanente wetsbepaling wees vir die Israeliete en die uitlander wat onder hulle woon.^c **11** Enigiemand wat aan 'n lyk raak, sal sewe dae onrein wees.^d **12** So iemand moet hom op die derde dag met die water reinig, en op die sewende dag sal hy rein wees. Maar as hy hom nie op die derde dag reinig nie, sal hy nie op die sewende dag rein wees nie. **13** Elkeen wat aan 'n lyk raak en homself nie reinig nie, het Jehovah se tabernakel onrein gemaak,^e en hy moet doodgemaak word en so uit Israel verwyder word.^f Omdat die reinigingswater^g nie op hom gesprinkel is nie, bly hy onrein. Hy bly in sy onrein toestand.

14 ““Dit is die wet wat van toepassing is as iemand in 'n tent sterf: Elkeen wat in die tent ingaan en elkeen wat reeds in die tent was, sal sewe dae onrein wees. **15** Elke oop houer waarop daar geen deksel vasgebind is nie, sal onrein wees.^h **16** Elkeen in die oop veld wat aan iemand raak wat met die swaard doodgemaak is of wat aan 'n lyk of die beendere van 'n mens of aan 'n graf raak, sal sewe dae onrein wees.ⁱ

17 Hulle moet van die as van die sonde-offer wat verbrand is, vir die onrein persoon neem, dit in 'n houër sit en vars water daarop gooi. **18** Dan moet 'n rein man^a hisop^b neem en dit in die water doop en die water spat op die tent en op al die houers en op die mense wat daar was en op die persoon wat aan die beendere of aan die een wat doodgemaak is of aan die lyk of aan die graf geraak het. **19** Die rein persoon moet op die derde dag en op die sewende dag van die water op die onrein persoon spat, en hy moet hom op die sewende dag van sonde reinig.^c Dan moet die onrein persoon sy klere was en hy moet in water bad, en hy sal in die aand rein word.

20 "Maar iemand wat onrein is en wat hom nie reinig nie, moet doodgemaak word en so uit die gemeente verwyder word,^d want hy het Jehovah se heiligdom onrein gemaak. Die reinigingswater is nie op hom gesprinkel nie, en daarom is hy onrein.

21 "Dit sal 'n permanente wetsbepaling vir hulle wees: Die een wat die reinigingswater spat,^e moet sy klere was, en enigeen wat aan die reinigingswater raak, sal tot die aand toe onrein wees. **22** Enigiets waaraan die onrein persoon raak, sal onrein wees, en die persoon wat daaraan raak, sal tot die aand toe onrein wees."^f

20 In die eerste maand het die hele gemeenskap van Israel in die wildernis Zin gekom, en die volk het in Kades begin woon.^g Dit is waar Mirjam^h gesterf het en begrawe is.

2 En daar was geen water vir die gemeenskap van Israel nie,ⁱ en hulle het teen Moses en

HFST. 19

a Nu 19:9

b Ps 51:7

c Le 14:9
Nu 19:12
Nu 31:19

d Nu 19:13

e Nu 19:18
Heb 9:9, 10
Heb 9:13, 14

f Le 15:4, 5

HFST. 20

g Nu 13:26
Nu 20:22
Nu 33:36
De 2:14h Eks 15:20
Nu 26:59
Mi 6:4

i Eks 17:1

Tweede kol.

a Eks 17:2

b Eks 14:11
Eks 17:3
Nu 16:13, 14
Nu 21:5

c De 8:14, 15

d De 8:7, 8

e Eks 16:10
Nu 14:10f Eks 17:5, 6
Ps 78:15
Ps 105:41
Ps 114:8
Jes 48:21g Eks 7:12, 19
Nu 17:10

h Ps 106:32, 33

i 1Kor 10:1, 4

Aäron bymekaargekom. **3** Die volk het met Moses gestry^a en gesê: "As ons maar gesterf het toe ons broers voor Jehovah gesterf het! **4** Hoekom het julle Jehovah se gemeente na hierdie wildernis gebring om ons en ons vee hier te laat sterf?^b **5** En hoekom het julle ons uit Egipte uitgelei om ons na hierdie verskriklike plek te bring?^c Dit is nie 'n plek om saad te saai of 'n plek van vye en wingerdstokke en granate nie, en daar is geen water om te drink."^d **6** Toe het Moses en Aäron van die gemeente af weggegaan na die ingang van die tent van samekoms en met hulle gesig na die grond toe neergebuig, en Jehovah se heerlikheid het aan hulle verskyn.^e

7 Jehovah het vir Moses gesê: **8** "Jy en jou broer Aäron moet die staf neem en die gemeenskap van Israel bymekaar-roep, en julle moet voor hulle oë met die groot rots praat sodat dit water kan gee, en jy moet vir hulle water uit die groot rots laat kom en hulle en hulle vee laat drink."^f

9 Toe het Moses die staf voor Jehovah geneem,^g net soos Hy hom beveel het. **10** Daarna het Moses en Aäron die gemeente voor die groot rots bymekaargeroep, en hy het vir hulle gesê: "Luister, julle opstandiges! Moet ons vir julle water uit hierdie groot rots laat kom?"^h **11** En Moses het sy hand opgelig en die groot rots twee keer met sy staf geslaan, en baie water het begin uitkom, en die gemeenskap van Israel en hulle vee het begin drink.ⁱ

12 Jehovah het later vir Moses en Aäron gesê: "Omdat julle nie geloof in my getoon het en my nie voor die oë van die Israeliete geheilig het nie, sal

julle nie hierdie gemeente in die land inbring wat ek aan hulle sal gee nie.”^a **13** Dit is die waters van Me’riba,^{*b} waar die Israeliete met die Jehovah gestry het, en by daardie geleentheid is hy onder hulle geheilig.

14 Daarna het Moses boodskappers uit Kades na die koning van Edom gestuur:^c “So sê u broer Israel:^d ‘U weet goed hoe swaar ons gekry het. **15** Ons vaders het na Egipte gegaan,^e en ons het baie jare in Egipte gewoon,^f en die Egiptenare het ons en ons vaders sleg behandel.^g **16** Uiteindelik het ons tot Jehovah geroep,^h en hy het ons gehoor en ’n engel gestuurⁱ en ons uit Egipte uitgelei, en hier is ons in Kades, ’n stad op die grens van u gebied. **17** Laat ons asseblief deur u land trek. Ons sal nie deur enige landery of wingerd gaan nie, en ons sal nie water uit enige put drink nie. Ons sal op die Koningsweg bly sonder om regs of links af te draai, totdat ons deur u gebied getrek het.’”^j

18 Maar Edom het vir hom gesê: “Jy mag nie deur ons gebied trek nie. As jy dit doen, sal ek na jou toe uitkom met die swaard.” **19** Toe het die Israeliete vir hom gesê: “Ons sal op die grootpad bly, en as ons en ons vee van u water drink, sal ons daarvoor betaal.^k Ons wil niks anders hê as om te voet deur die gebied te trek nie.”^l **20** Maar hy het gesê: “Julle mag nie deur die gebied trek nie.”^m En Edom het na hulle toe uitgekóm met ’n groot en sterk leërmag.^{*} **21** So het Edom geweier om Israel deur sy gebied te laat trek, en daarom het Israel van hom af weggedraai.ⁿ

20:13 *Betekén “stryery”. **20:20** *Lett. “hand”.

HFST. 20

a Nu 27:12-14
De 1:37
De 3:26
De 32:51, 52
De 34:4
Jos 1:2

b Ps 106:32, 33

c Rig 11:17

d Ge 36:8
De 2:4
De 23:7

e Ge 46:6

f Ge 15:13
Eks 12:40

g Eks 1:11, 14

h Eks 2:23
Eks 3:7

i Eks 14:19
Eks 23:20
Eks 33:2

j Nu 21:21, 22
De 2:26, 27

k De 2:5, 6

l De 2:26, 28

m Rig 11:17

n De 2:8
Rig 11:18

Tweede kol.

a Nu 21:4
Nu 33:37

b Nu 33:38
De 32:50

c Nu 20:12
De 32:51, 52

d Eks 28:2
Eks 29:29

e Eks 6:23
Nu 4:16

f Nu 33:39
De 10:6
De 32:50

g De 34:8

HFST. 21

h Nu 33:40
Jos 12:7,14

22 Die hele gemeenskap van Israel het van Kades af weggetrek en by die berg Hor gekóm.^a **23** Toe het Jehovah op die berg Hor, aan die grens van die land Edom, vir Moses en Aäron gesê: **24** “Aäron sal tot sy volk versamel word.^{*b} Hy sal nie in die land ingaan wat ek aan die Israeliete sal gee nie, omdat julle albei in opstand gekóm het teen my bevel in verband met die waters van Me’riba.^c **25** Neem Aäron en sy seun Elea’sar en laat hulle teen die berg Hor opklim. **26** Trek Aäron se klere uit^d en trek dit vir sy seun Elea’sar^e aan, en Aäron sal daar sterf.”^{*}

27 Moses het toe gedoen net soos Jehovah beveel het, en hulle het voor die oë van die hele gemeenskap van Israel teen die berg Hor opgeklim. **28** Toe het Moses Aäron se klere uitgetrek en dit vir Aäron se seun Elea’sar aangetrek. Daarna het Aäron daar op die top van die berg gesterf.^f En Moses en Elea’sar het van die berg afgekóm. **29** Toe die hele gemeenskap van Israel sien dat Aäron gesterf het, het die hele huis van Israel 30 dae lank oor Aäron getreur.^g

21 Toe die Kanaänitiese koning van Arad,^h wat in die Negeb gewoon het, hoor dat Israel met die pad van A’tarim gekóm het, het hy Israel aangeval en party van hulle as gevangenes weggeneem. **2** Israel het toe die volgende gelofte aan Jehovah gemaak: “As u hierdie volk in my hand gee, dan sal ek hulle stede beslis vernietig.” **3** Toe het Jehovah na Israel se stem geluister en die

20:24 *’n Poëtiese uitdrukking wat na die dood verwys. **20:26** *Lett. “sal [tot sy volk] versamel word en daar sterf”.

Kanaäniete aan hulle oorgegee, en hulle het hulle en hulle stede vernietig. Daarom het hulle die plek Horma^a genoem.

4 Terwyl hulle van die berg Hor af verder getrek het^b met die pad wat na die Rooisee gaan, sodat hulle om die land Edom kon gaan,^c het die volk moeg geraak weens die reis. **5** En die volk het teen God en Moses bly praat^d en gesê: "Hoekom het julle ons uit Egipte gebring om in die wildernis te sterf? Daar is geen kos en geen water nie,^e en ons haat hierdie walglike brood."^f **6** Toe het Jehovah giftige* slange onder die volk ingestuur, en hulle het die mense gebyt, en baie Israeliete het gestarf.^g

7 Toe het die volk na Moses toe gekom en gesê: "Ons het gesondig omdat ons teen Jehovah en teen jou gepraat het.^h Bid tot Jehovah vir ons sodat hy die slange van ons sal wegvat." En Moses het vir die volk gebid.ⁱ **8** Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Maak 'n afbeelding van 'n giftige* slang en sit dit op 'n paal. Wanneer iemand gepik is, sal hy daarna moet kyk om te bly lewe." **9** Moses het dadelik 'n koperslang gemaak^j en dit op 'n paal gesit,^k en as 'n slang iemand gepik het en hy na die koperslang gekyk het, het hy bly lewe.^l

10 Daarna het die Israeliete weggetrek en in Obot kamp opgeslaan.^m **11** Toe het hulle van Obot af weggetrek en in Ije-Abarim kamp opgeslaan,ⁿ in die wildernis wat oos van Moab is. **12** Hulle het daarvandaan weggetrek en kamp opgeslaan by die Sered-vallei.*^o **13** Hulle het daarvandaan weg-

21:3 *Betekend "oorgegee aan vernietiging". **21:6, 8** *Of "vurige". **21:12** *Of "wadi Sered". Sien Woordelys.

HFST. 21

a Nu 14:45

b Nu 33:41

c Nu 20:21
De 2:8
Rig 11:18

d Eks 14:11
Eks 15:24
Nu 16:13

e Nu 20:5

f Eks 16:15
Nu 11:6
Ps 78:24, 25

g 1Kor 10:6, 9

h Ps 78:34

i Eks 32:11

j 2Kn 18:1, 4

k Joh 3:14, 15

l Joh 6:40

m Nu 33:43

n Nu 33:44

o De 2:13

Tweede kol.

a Nu 22:36
Rig 11:18

b Jos 13:15, 17

c Nu 33:49

d De 3:27
De 34:1

e Nu 23:28

f De 2:26-28

getrek en kamp opgeslaan in die streek van die Arnon,^a wat in die wildernis is wat van die grens van die Amoriëte af strek, want die Arnon is die grens van Moab, tussen Moab en die Amoriëte. **14** Daarom praat die boek van die Oorloë van Jehovah van "Waheb in Sufa en die valleie* van die Arnon, **15** en die afdraand[#] van die valleie,* wat in die rigting van die stad Ar strek en langs die grens van Moab is".

16 Toe het hulle na Beër gegaan. Dit is die put waarvan Jehovah vir Moses gesê het: "Bring die volk bymekaar, en laat ek vir hulle water gee."

17 Israel het toe hierdie lied gesing:

"Borrel op, o put! - Sing vir die put!"

18 Die put wat leiers gegrawe het, wat die heersers van die volk gegrawe het, met die staf van 'n bevelvoerder en met hulle eie stawwe."

Daarna het hulle van die wildernis na Matta'na gegaan, **19** en van Matta'na na Naha-liël, en van Naha-liël na Bamot.^b **20** Hulle het van Bamot na die vallei in die gebied* van Moab gegaan,^c naby die berg Pisga,^d wat oor Je'simon[#] uitkyk.^e

21 Israel het toe boodskappers na Sihon, die koning van die Amoriëte, gestuur en gesê:^f **22** "Laat ons deur u land trek. Ons sal nie na enige landery of wingerd afdraai nie. Ons sal nie water uit enige put drink nie. Ons sal op die Koningsweg bly totdat ons deur u gebied getrek

21:14, 15 *Of "wadi's". Sien Woordelys. **21:15** [#]Lett. "mond". **21:17** *Of "Sing vir die put met beurtsang!" **21:20** *Lett. "veld". [#]Of moontlik "die woestyn; die wildernis".

het.^a **23** Maar Sihon het Israel nie toegelaat om deur sy gebied te trek nie. Sihon het eerder sy hele leërmag versamel en teen Israel in die wildernis opgetrek, en hy het by Jahas gekom en teen Israel begin veg.^b

24 Maar Israel het hom met die swaard oorwin^c en sy land in besit geneem^d van die Arnon^e af tot by die Jabbok,^f naby die Ammoniete, want Jaser^g grens aan die gebied van die Ammoniete.^h

25 So het Israel al hierdie stede ingeneem, en hulle het in al die stede van die Amorieteⁱ begin woon, in Hesbon en al sy afhanklike* dorpe. **26** Want Hesbon was die stad van Sihon, die koning van die Amoriete, wat teen die koning van Moab geveg het en sy hele land tot by die Arnon van hom weggeneem het. **27** Dit is waar die spottende spreekwoord vandaan kom:

“Kom na Hesbon.

Laat die stad van Sihon gebou word en stewig gevestig word.

28 Want 'n vuur het uit Hesbon uitgegaan, 'n vlam uit die stad van Sihon.

Dit het Ar van Moab verteer, die meesters van die hoogtes van die Arnon.

29 Dit sal met jou sleg gaan, Moab! Jy sal vernietig word, o volk van Kamos!^j

Hy maak sy seuns vlugteling en sy dogters gevangenes van Sihon, die koning van die Amoriete.

30 Laat ons op hulle skiet. Hesbon sal vernietig word tot by Dibon,^k laat ons dit verwoes tot by Nofag.

Vuur sal so ver as Mede'ba^l versprei.”

21:25, 32 *Of “omliggende”.

HFST. 21

a Nu 20:14, 17

b De 2:30-35

De 29:7

Rig 11:19, 20

c Ps 135:10, 11

d Nu 32:33

Ne 9:22

e Nu 21:13

De 3:16

f Rig 11:21, 22

g Nu 32:1

1Kr 6:77, 81

h Jos 12:1, 2

i Ge 10:15, 16

Ge 15:16

Eks 3:8

De 7:1

j Rig 11:23, 24

1Kn 11:7

2Kn 23:13

k Jos 13:15, 17

l Jos 13:8, 9

Tweede kol.

a Nu 32:1

b De 3:11

De 4:47

Jos 13:8, 12

c De 3:1

De 3:8, 10

d De 20:3

e Eks 23:27

De 7:24

f De 3:2

Ps 135:10, 11

g De 3:3

h Jos 12:4-6

HFST. 22

i Nu 33:48

j Jos 24:9

Rig 11:25

k Eks 15:15

De 2:25

l Nu 31:7, 8

Jos 13:15, 21

m De 23:3, 4

Jos 13:22

2Pe 2:15

31 En Israel het in die land van die Amoriete begin woon.

32 Moses het toe manne gestuur om Jaser^a te verken. Hulle het sy afhanklike* dorpe ingeneem en die Amoriete wat daar was, verdryf. **33** Daarna het hulle met die pad van Basan gegaan. En Og,^b die koning van Basan, het met sy hele leërmag uitgekom om by Edre'i^c teen hulle te veg. **34** Jehovah het vir Moses gesê: “Moenie vir hom bang wees nie,^d want ek sal hom en sy hele volk en sy land in julle hand gee,^e en julle moet met hom doen net soos julle gedoen het met Sihon, die koning van die Amoriete, wat in Hesbon gewoon het.”^f **35** Toe het hulle hom saam met sy seuns en sy hele volk verslaan. Daar was nie 'n enkele oorlewende nie,^g en hulle het sy land in besit geneem.^h

22 Toe het die Israeliete weggetrek en op die woestynvlaktes van Moab kamp opgeslaan met Je'rigo aan die ander kant van die Jordaanrivier.ⁱ **2** En Balak,^j die seun van Sippor, het alles gesien wat Israel aan die Amoriete gedoen het, **3** en Moab het baie bang geword vir die volk, omdat hulle so baie was. Ja, Moab was siek van vrees as gevolg van die Israeliete.^k **4** Moab het toe vir die ouermanne van Mi'dian^l gesê: “Nou sal hierdie gemeente alles om ons verslind, net soos 'n bul die gras in die veld verslind.”

Balak, die seun van Sippor, was in daardie tyd koning van Moab. **5** Hy het boodskappers gestuur na Bi'eam, die seun van Beor, in Petor,^m langs die Rivier* in sy geboorteland. Hy het hom laat roep en gesê: “Kyk! 'n

22:5 *Blykbaar die Eufratrivier.

Volk het uit Egipte gekom. Hulle het die oppervlak van die aarde* bedek,^a en hulle woon reg voor my. **6** Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my,^b want hulle is magtiger as ek. Miskien kan ek hulle verslaan en hulle uit die land verdryf, want ek weet goed dat die een wat jy seën, geseënd is en dat die een wat jy vervloek, vervloek is.”

7 Toe het die ouermanne van Moab en die ouermanne van Mid'ian met die betaling vir 'n waarsêer na Bi'leam^c gegaan en Balak se boodskap aan hom oorgedra. **8** Hy het vir hulle gesê: “Bly vannag hier oor, en ek sal vir julle sê wat Jehovah ook al vir my sê.” En die leiers van Moab het by Bi'leam gebly.

9 Toe het God na Bi'leam gekom en gesê:^d “Wie is hierdie manne by jou?” **10** Bi'leam het vir die ware God gesê: “Balak, die seun van Sippor, die koning van Moab, het 'n boodskap na my gestuur en gesê: **11** ‘Kykl! Die volk wat uit Egipte gekom het, bedek die oppervlak van die aarde.* Kom tog nou en vervloek hulle vir my.^e Miskien sal ek teen hulle kan veg en hulle kan verdryf.’” **12** Maar God het vir Bi'leam gesê: “Jy mag nie saam met hulle gaan nie. Jy mag nie die volk vervloek nie, want hulle is geseënd.”^f

13 Bi'leam het in die oggend opgestaan en vir Balak se leiers gesê: “Gaan terug na julle land toe, want Jehovah het geweier om my saam met julle te laat gaan.” **14** Toe het die leiers van Moab vertrek en na Balak teruggekeer en gesê: “Bi'leam het geweier om saam met ons te kom.”

15 Maar Balak het weer leiers gestuur, 'n groter groep

22:5, 11 *Of “land”.

HFST. 22

a Ge 13:14, 16

b Nu 23:7
Jos 24:9
Ne 13:1, 2

c 2Pe 2:15
Jud 11

d Nu 22:20

e Nu 22:5, 6
Nu 23:7, 11
Nu 24:10

f Ge 12:1-3
Ge 22:15, 17
De 33:29

Tweede kol.

a Nu 24:13

b Nu 22:8

c Nu 22:35
Nu 23:11, 12

d 2Pe 2:15
Jud 11

manne wat belangriker was as die eerste groep. **16** Hulle het na Bi'leam gekom en vir hom gesê: “So het Balak, die seun van Sippor, gesê: ‘Assseblief, moenie dat enigiets jou keer om na my toe te kom nie, **17** want ek sal jou grootliks eer, en ek sal enigiets doen wat jy vir my sê om te doen. Kom dus, asseblief, en vervloek hierdie volk vir my.’” **18** Maar Bi'leam het die knegte van Balak geantwoord: “Al gee Balak my sy eie huis vol silwer en goud, kan ek niks doen, het-sy klein of groot, wat in stryd is met die bevel van Jehovah my God nie.” **19** Maar bly asseblief ook vannag hier, sodat ek kan hoor wat Jehovah nog vir my sal sê.”^b

20 Toe het God in die nag na Bi'leam gekom en vir hom gesê: “As hierdie manne gekom het om jou te roep, gaan saam met hulle. Maar jy mag net sê wat ek vir jou sê.”^c **21** Bi'leam het toe in die oggend opgestaan en sy donkie* opgesaal en saam met die leiers van Moab gegaan.^d

22 Maar God het woedend geword omdat hy gegaan het, en Jehovah se engel het in die pad gaan staan om hom teë te staan. En Bi'leam het op sy donkie gery, en twee van sy dienaars was by hom. **23** En toe die donkie Jehovah se engel in die pad sien staan met 'n swaard in sy hand, het die donkie van die pad af na die veld probeer draai. Maar Bi'leam het die donkie begin slaan om haar na die pad te laat terugdraai. **24** Jehovah se engel het toe op 'n smal pad tussen twee wingerde gaan staan, met klipmure aan albei kante. **25** Toe die donkie Jehovah se engel sien, het sy haarself teen die muur begin

22:21 *Lett. “donkiemerrie”.

druk en Bi'leam se voet teen die muur vasgedruk, en Bi'leam het haar weer begin slaan.

26 Jehovah se engel het toe weer verbygegaan en in 'n nou plek gestaan waar daar geen ruimte was om regs of links te draai nie. **27** Toe die donkie Jehovah se engel sien, het sy onder Bi'leam gaan lê, en Bi'leam het woedend geword en die donkie met sy staf bly slaan. **28** Uiteindelik het Jehovah die donkie laat praat,^a en sy het vir Bi'leam gesê: "Wat het ek aan jou gedoen dat jy my al drie keer geslaan het?"^b **29** Bi'leam het die donkie geantwoord: "Jy het 'n gek van my gemaak. As ek net 'n swaard in my hand gehad het, sou ek jou doodgemaak het!" **30** Toe het die donkie vir Bi'leam gesê: "Is ek nie jou donkie waarop jy jou hele lewe lank tot vandag toe gery het nie? Het ek jou al ooit so behandel?" Hy het geantwoord: "Neel!" **31** Jehovah het toe Bi'leam se oë geopen,^c en hy het Jehovah se engel in die pad sien staan met 'n swaard in sy hand. Dadelik het hy op sy knieë gegaan en neergebui met sy gesig na die grond toe.

32 Toe het Jehovah se engel vir hom gesê: "Hoekom het jy jou donkie nou al drie keer geslaan? Kyk! Ek het gekom om jou teë te staan, want jou weg is in stryd met my wil."^d **33** Die donkie het my gesien en het al drie keer van my probeer wegdraai.^e Sê nou sy het nie van my weggedraai nie? Dan sou ek jou nou al doodgemaak het en die donkie laat lewe het." **34** Bi'leam het vir Jehovah se engel gesê: "Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat dit u is wat in die pad gestaan het om my te ontmoet nie. As dit dan sleg is in u oë, sal ek teruggaan." **35** Maar

HFST. 22

a 2Pe 2:15, 16

b Nu 22:32

c 2Kn 6:17

d Nu 22:12

2Pe 2:15, 16

e Nu 22:23

Nu 22:25

Nu 22:27

Tweede kol.

a Nu 22:16, 17

Nu 24:10, 11

b Nu 23:26

Nu 24:13

c Nu 23:13, 14

HFST. 23

d Nu 22:41

e Nu 23:13, 14

Nu 23:28-30

f Nu 22:20

Jehovah se engel het vir Bi'leam gesê: "Gaan saam met die manne, maar jy mag net sê wat ek vir jou sê." Bi'leam het dus verder gegaan saam met Balak se leiers.

36 Toe Balak hoor dat Bi'leam gekom het, het hy dadelik uitgegaan om hom te ontmoet by die stad van Moab, wat aan die oewer van die Arnon lê op die grens van die gebied. **37** Balak het vir Bi'leam gevra: "Het ek jou nie laat roep nie? Hoekom het jy nie na my toe gekom nie? Glo jy nie dat ek jou groot eer kan gee nie?"^a **38** Bi'leam het Balak geantwoord: "Wel, hier is ek nou. Maar sal ek toegelaat word om enigiets te sê? Ek kan net sê wat God my laat sê."^b

39 Toe het Bi'leam saam met Balak gegaan, en hulle het by Kirjat-Husot gekom. **40** Balak het beeste en skape geoffer en daarvan gestuur aan Bi'leam en die leiers wat saam met hom was. **41** In die oggend het Balak vir Bi'leam na Bamot-Baäl opgeneem. Van daar af kon hy die hele volk sien.^c

23 Toe het Bi'leam vir Balak gesê: "Bou sewe altare op hierdie plek^d en maak vir my sewe bulle en sewe ramme gereed." **2** Balak het dadelik gedoen net soos Bi'leam gesê het. En Balak en Bi'leam het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.^e **3** Bi'leam het toe vir Balak gesê: "Bly hier by jou brandoffer, en ek sal gaan. Miskien sal Jehovah met my in aanraking kom. Wat hy ook al aan my openbaar, sal ek aan jou oordra." Hy het toe na 'n heuwel gegaan.

4 Toe het God met Bi'leam in aanraking gekom,^f en Bi'leam het vir God gesê: "Ek het die sewe altare in rye geplaas, en ek het 'n bul en 'n ram op elke

altaar geoffer.” **5** Jehovah het sy woorde in Bi’leam se mond gesit^a en vir hom gesê: “Keer terug na Balak, en dit is wat jy moet sê.” **6** En hy het teruggekeer en gesien dat Balak en al die leiers van Moab by sy brandoffer staan. **7** Toe het hy hierdie profetiese boodskap oorgegdra:^b

“Balak, die koning van Moab, het my van Aram^c laat kom, van die berge van die ooste: ‘Kom tog om Jakob vir my te vervloek. Ja, kom om Israel te veroordeel.’^d

8 Hoe kan ek dié vervloek wat nie deur God vervloek is nie?

En hoe kan ek dié veroordeel wat nie deur Jehovah veroordeel is nie?^e

9 Van die top van die rotse af sien ek hulle, en van die heuwels af sien ek hulle.

As ’n volk woon hulle daar op hulle eie.^f

Hulle beskou hulleself nie as deel van die nasies nie.^g

10 Wie kan die stof van Jakob tel,^h

of selfs ’n kwart van Israel? Laat my* die dood van die regverdige sterf, en laat my einde soos hulle s’n wees.”

11 Balak het toe vir Bi’leam gesê: “Wat het jy aan my gedoen? Ek het jou laat kom om my vyande te vervloek, maar al wat jy gedoen het, was om hulle te seën.”ⁱ **12** Hy het geantwoord: “Moet ek nie alles sê wat Jehovah in my mond sit nie?”^j

13 Balak het vir hom gesê: “Kom asseblief saam met my na

23:10 *Of “my siel”.

HFST. 23

a Nu 22:35

b Nu 23:18
Nu 24:3

c Ge 10:22
Nu 22:5
De 23:3, 4

d Nu 22:6

e Nu 22:12

f 1Kn 8:53

g Eks 33:16

h Ge 13:14, 16
Ge 22:17
Eks 1:7

i Nu 24:10
Jos 24:10
Ne 13:1, 2

j Nu 22:38
Nu 24:13

Tweede kol.

a Nu 22:11

b De 34:1

c Nu 22:41
Nu 23:1
Nu 23:28, 29

d Nu 22:35
Nu 23:5

e Nu 23:7
Nu 24:3

f Ps 89:35
Tit 1:2

g 1Sa 15:29

h Jes 14:24
Jes 46:10
Mi 7:20

i Ge 12:1, 2
Ge 22:15, 17
Nu 22:12

j Nu 22:18

k Eks 13:21
Eks 23:20
Eks 29:45
Jes 8:10

l Eks 20:2

’n ander plek van waar jy hulle kan sien. Jy sal net ’n deel van hulle sien, jy sal nie hulle almal sien nie. Vervloek hulle vir my van daar af.”^a **14** Toe het hy hom na die veld Sofim geneem, na die top van Pisga,^b en sewe altare gebou en ’n bul en ’n ram op elke altaar geoffer.^c **15** Bi’leam het toe vir Balak gesê: “Bly hier by jou brandoffer terwyl ek daar anderkant met Hom in aanraking kom.” **16** En Jehovah het met Bi’leam in aanraking gekom en Sy woorde in sy mond gesit en vir hom gesê:^d “Keer terug na Balak, en dit is wat jy moet sê.” **17** En hy het na hom toe gekom en gesien dat hy by sy brandoffer wag, en die leiers van Moab was by hom. Balak het hom gevra: “Wat het Jehovah gesê?” **18** Toe het hy hierdie profetiese boodskap oorgegdra:^e

“Staan op, Balak, en luister. Hoer wat ek sê, o seun van Sippor.

19 God is nie ’n mens wat leuens vertel nie,^f of ’n mensekind wat van gedagte verander nie.*^g As hy iets sê, sal hy dit nie doen nie?

As hy praat, sal hy dit nie uitvoer nie?^h

20 Kyk! Ek is hierheen gebring om te seën, en Hy hét gesêën,ⁱ en ek kan dit nie omdraai nie.^j

21 Hy duld geen towerkrag teen Jakob nie, en hy laat geen moeilikheid teen Israel kom nie. Jehovah sy God is met hulle,^k en Hy word as koning onder hulle uitgeroep.

22 God lei hulle uit Egipte uit.^l

23:19 *Of “wat spyt voel nie”.

Hy is vir hulle soos die horings van 'n wilde bul.^a

23 Want daar is geen slegte voorspelling* teen Jakob nie,^b ook geen waarsêery teen Israel nie.^c Nou kan daar van Jakob en Israel gesê word: 'Kyk na wat God gedoen het!'

24 Hier is 'n volk wat soos 'n leeu sal opstaan, en soos die leeu sal hy opkom.^d Hy sal nie gaan lê voordat hy prooi eet en die bloed drink van dié wat doodgemaak is nie."

25 Balak het toe vir Bi'leam gesê: "As jy hulle dan nie kan vervloek nie, moet jy hulle ook nie seën nie." **26** Bi'leam het Balak geantwoord: "Het ek nie vir jou gesê: 'Ek sal alles doen wat Jehovah sê' nie?"^e

27 Balak het vir Bi'leam gesê: "Kom asseblief en laat ek jou na nog 'n ander plek neem. Miskien sal dit reg wees in die oë van die ware God dat jy hulle van daar af vervloek vir my."^f

28 Balak het toe vir Bi'leam na die top van Peor geneem, wat oor Je'simon* uitkyk.^g **29** Toe het Bi'leam vir Balak gesê: "Bou sewe altare op hierdie plek en maak vir my sewe bulle en sewe ramme gereed."^h **30** En Balak het gedoen net soos Bi'leam gesê het, en hy het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.

24 Toe Bi'leam sien dat Jehovah Israel graag wou seën, het hy nie weer weggegaan om na slegte tekens* te soek nie,ⁱ maar hy het na die wil-

23:23 *Of "onheilspellende voortekens". **23:28** *Of moontlik "die woestyn; die wildernis". **24:1** *Of "onheilspellende voortekens".

HFST. 23

a Nu 24:8

b Ge 12:1, 3

c Nu 22:7

d Nu 24:9

e Nu 22:38
Nu 23:12

f Nu 23:13

g Nu 21:20

h Nu 22:41
Nu 23:1, 14

HFST. 24

i Nu 23:3, 15
Nu 23:23

Tweede kol.

a Nu 2:2
Nu 23:9

b 1Sa 19:20

c Nu 23:7, 18

d Nu 24:16

e Nu 1:52
Nu 2:2

f Nu 22:11

g De 8:7

h Ge 49:10
Ps 2:6
Joh 1:49

i Nu 24:20

j 1Kr 14:2
Da 2:44
Op 11:15

k Eks 23:27
De 9:5

dernis toe gedraai. **2** Toe Bi'leam kyk en Israel volgens sy stamme sien woon,^a het die gees van God oor hom gekom.^b **3** Hy het toe hierdie profetiese boodskap oorgedra:^c

"Die boodskap van Bi'leam, die seun van Beor, en die boodskap van 'n man wie se oë geopen is,

4 die boodskap van die een wat die woord van God hoor, wat 'n visioen van die Almagtige gesien het, wat met geopende oë neergeval het:^d

5 Hoe pragtig is jou tente, o Jakob, jou wonings, o Israel!^e

6 Hulle is soos valleie* wat ver strek,^f soos tuine by die rivier, soos aalwynplante wat Jehovah geplant het, soos sederbome by die waters.

7 Sy twee waterremmers loop oor, en sy saad* is by baie waters gesaai.^g

Ook sal sy koning^h groter wees as Agag,ⁱ en sy koninkryk sal verheerlik word.^j

8 God lei hom uit Egipte uit. Hy is vir hulle soos die horings van 'n wilde bul. Hy sal die nasies, sy onderdrukkers, verslind,^k en hulle beendere sal hy kou, en hy sal hulle met sy pyle vernietig.

9 Hy het gelê, hy het soos die leeu gaan lê. Hy is soos 'n leeu, en wie durf hom wakker maak?

24:6 *Of "wadi's". Sien Woordelys. **24:7** *Of "nageslag".

Dié wat jou seën, is geseënd, en dié wat jou vervloek, is vervloek.”^a

10 Toe het Balak baie kwaad geword vir Bi'leam. Balak het sy hande woedend saamgeslaan en vir Bi'leam gesê: “Ek het jou geroep om my vyande te vervloek,^b maar al wat jy gedoen het, was om hulle drie keer te seën. **11** Gaan nou dadelik huis toe. Ek was van plan om jou groot eer te gee,^c maar Jehovah het jou nie toegelaat om die eer te kry nie.”

12 Bi'leam het Balak geantwoord: “Ek het mos vir die boodskappers wat jy gestuur het, gesê: **13** ‘Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, kan ek niks uit my eie wil* doen, het-sy goed of sleg, wat in stryd is met die bevel van Jehovah nie. Ek sal net sê wat Jehovah vir my sê.’^d **14** En nou gaan ek weg na my volk toe. Laat ek vir jou vertel wat hierdie volk in die toekoms* aan jou volk gaan doen.” **15** Toe het hy hierdie profetiese boodskap oorgedra:^e

“Die boodskap van Bi'leam, die seun van Beor, en die boodskap van 'n man wie se oë geopen is,^f

16 die boodskap van die een wat die woord van God hoor, en die een wat die kennis van die Allerhoogste het, die een wat 'n visioen van die Almagtige gesien het terwyl hy met geopende oë neergeval het:

17 Ek sal hom sien, maar nie nou nie.

Ek sal na hom kyk, maar nie binnekort nie.

'n Ster^g sal uit Jakob kom,

24:13 *Lett. “uit my hart”. **24:14** *Of “aan die einde van die dae”.

HFST. 24

a Ge 12:1-3
Ge 27:29

b Nu 22:10, 11
Nu 23:11
Ne 13:1, 2

c Nu 22:16, 17

d Nu 22:18, 38

e Nu 23:7

f Nu 24:3, 4

g Op 22:16

Tweede kol.

a Ps 110:2
Heb 1:8

b 2Sa 7:16, 17
Jes 9:7

c 2Sa 8:2
1Kr 18:2
Ps 108:9

d Ge 27:37
2Sa 8:14
Am 9:11, 12

e Ge 36:8
Jos 24:4

f 1Kr 4:42, 43
Ese 25:14

g Ge 49:10
Ps 2:9
Ps 72:11
Op 6:2
Op 19:15

h Eks 17:8, 14

i De 25:19
1Sa 15:3
1Kr 4:43

j Ge 15:18, 19
Rig 1:16

k Ge 10:2, 4
Ese 27:6

l Na 3:18

m Nu 31:7, 8

en 'n septer^a sal uit Israel opkom.^b

En hy sal beslis die voorkop van Moab* verpletter,^c en die skedel van al die gewelddadige soldate.

18 En Edom sal 'n besitting word,^d

ja, Seïr^e die besitting van sy vyande,^f terwyl Israel wys hoe moedig hy is.

19 En uit Jakob sal iemand oorwin,^g

en hy sal elke oorlewende in die stad vernietig.”

20 Toe hy A'malek sien, het hy sy profetiese boodskap voortgesit:

“A'malek was die eerste van die nasies,^h maar op die ou end sal hy vergaan.”ⁱ

21 Toe hy die Keniete^j sien, het hy sy profetiese boodskap voortgesit:

“Veilig is jou woonplek, en op die krans is jou woning geplaas.

22 Maar iemand sal Kajin afbrand.

Hoe lank voordat Assi'rië jou as 'n gevangene wegneem?”

23 En hy het sy profetiese boodskap voortgesit:

“Wie sal bly lewe wanneer God dit doen?

24 Skepe sal van die kus van Kittim^k af kom,

en hulle sal Assi'rië^l laat swaarkry,

en hulle sal Eber laat ly.

Maar hy sal ook heeltemal vernietig word.”

25 Toe het Bi'leam^m opgestaan en weggegaan en na sy plek teruggekeer. Balak het ook weggegaan.

24:17 *Of “die slape van Moab se kop”.

25 Terwyl Israel in Sittim^a gebly het, het die volk seksuele onsedelikheid met die dogters van Moab begin pleeg.^b **2** Die vrouens het die volk na die offerandes van hulle gode genooi,^c en die volk het begin eet en voor hulle gode neergebuig.^d **3** So het Israel die Baäl van Peor saam met hulle begin aanbid,^e en Jehovah het woedend geword vir Israel. **4** Jehovah het vir Moses gesê: “Neem al die leiers* van hierdie volk en hang hulle in die openbaar^f op voor Jehovah, sodat Jehovah se brandende woede teen Israel kan bedaar.” **5** Toe het Moses vir die regters van Israel^f gesê: “Elkeen van julle moet sy manne doodmaak wat die Baäl van Peor aanbid het.”^g

6 Maar net op daardie oomblik het een van die Israeliete 'n Midianitiese vrou in die kamp ingebring,^h voor die oë van Moses en die hele gemeenskap van Israel, terwyl hulle by die ingang van die tent van samekoms gehuil het. **7** Toe Pi'nehas,ⁱ die seun van Elea'sar, die seun van die priester Aäron, dit sien, het hy dadelik tussen die mense opgestaan en 'n spies* in sy hand geneem. **8** Toe het hy die man van Israel tot in die tent gevolg en hulle albei deurboor, die man van Israel en die vrou, deur haar geslagsdele. Dit het die plaag onder die Israeliete laat ophou.^j **9** Dié wat as gevolg van die plaag gesterf het, was 24 000.^k

10 Toe het Jehovah vir Moses gesê: **11** “Pi'nehas,^l die seun van Elea'sar, die seun van die priester Aäron, het my woede

25:3 *Of “So het Israel hulle aan die Baäl van Peor verbind”. 25:4 *Lett. “hoofde”. ^f Lett. “voor die son”. 25:5 *Of “wat hulle aan die Baäl van Peor verbind het”. 25:7 *Of “lans”.

HFST. 25

- a Jos 2:1
Mi 6:5
b Nu 31:16
1Kor 10:8
Op 2:14
c Eks 34:15
1Kor 10:20
d Eks 20:5
e De 4:3
Jos 22:17
Ps 106:28, 29
Ho 9:10
f Eks 18:21
g Eks 22:20
Eks 32:25, 27
De 13:6-9
h Nu 25:14, 15
i Eks 6:25
Jos 22:30
j Ps 106:30
k Nu 25:4
De 4:3
1Kor 10:8
l Nu 25:7

Tweede kol.

- a Ps 106:30, 31
b Eks 20:5
Eks 34:14
De 4:24
c 1Kor 6:4
Esr 7:1, 5
Esr 8:1, 2
d 1Kor 19:10
e Nu 31:7, 8
Jos 13:21
f 1Kor 1:32, 33
g Nu 31:1, 2
h Nu 25:3
Nu 31:16
i Nu 25:8, 15
j Nu 25:9

HFST. 26

- k Nu 25:7, 8
l Eks 30:12
Eks 38:26
Nu 1:2
m Nu 20:26
n Nu 22:1
Nu 33:48
o Jos 6:1

de teen die Israeliete laat bedaar omdat hy geen ontrouheid aan my geduld het nie.^a Daarom het ek nie die Israeliete vernietig nie, hoewel ek uitsluitlike toegewydheid vereis.^b **12** Sê dus dat ek 'n vredesverbond met hom maak. **13** En dit sal vir hom en sy nageslag die verbond van 'n permanente priesterskap wees^c omdat hy geen ontrouheid aan sy God geduld het nie^d en vir die volk Israel versoening gedoen het.”

14 Terloops, die naam van die Israelitiese man wat saam met die Midianitiese vrou doodgemaak is, was Simri, die seun van Salu, 'n hoofman van 'n vaderhuis van die Simeoniete. **15** Die naam van die Midianitiese vrou wat doodgemaak is, was Kosbi, die dogter van Sur.^e Hy was 'n leier van die familiegroep van 'n vaderhuis in Mi'dian.^f

16 Jehovah het later vir Moses gesê: **17** “Behandel die Midianiete as julle vyande en maak hulle dood,^g **18** want hulle was vyandig teenoor julle met hulle slinkse daede in verband met Peor^h en met Kosbi, die dogter van 'n hoofman van Mi'dian. Sy was hulle suster wat doodgemaak isⁱ op die dag van die plaag wat ontstaan het as gevolg van wat by Peor gebeur het.”^j

26 Ná die plaag^k het Jehovah vir Moses en Elea'sar, die seun van die priester Aäron, gesê: **2** “Neem 'n sensus op van die hele gemeenskap van Israel, van almal wat 20 jaar en ouer is, volgens hulle vaderhuise, en tel almal wat in Israel se leërmag kan dien.”^l **3** Moses en die priester Elea'sar^m het toe op die woestynvlaktes van Moabⁿ by die Jordaanrivier oorkant Jerigo^o vir hulle gesê: **4** “Neem 'n sensus op van almal wat 20 jaar

en ouer is, net soos Jehovah Moses beveel het.^a

En die seuns van Israel wat uit Egipte uitgegaan het, was: **5** Ruben,^b Israel se eersgeborene; Ruben se seuns^c was: van Hanog, die familie van die Hanogiete; van Pallu, die familie van die Palluïete; **6** van Hesron, die familie van die Hesroniete; van Karmi, die familie van die Karmiete. **7** Dit was die families van die Rubeniete, en hulle geregistreerdes was 43 730.^d

8 Die seun van Pallu was Eli'ab. **9** En die seuns van Eli'ab was Ne'muel, Datan en Abi'ram. Hierdie Datan en Abi'ram was manne wat uit die gemeenskap van Israel uitgekies was, en hulle het in opstand gekom teen Moses^e en Aäron, saam met Korag se groep,^f wat teen Jehovah in opstand gekom het.^g

10 Toe het die aarde oopge-skeur* en hulle ingesluk. Wat Korag betref, hy het saam met sy ondersteuners gesterf toe die vuur 250 manne verteer het.^h En hulle het 'n waarskuwende voorbeeld geword.ⁱ **11** Maar die seuns van Korag het nie gesterf nie.^j

12 Die seuns van Si'meon^k volgens hulle families was: van Ne'muel, die familie van die Nemueliete; van Jamin, die familie van die Jaminiete; van Jagin, die familie van die Jaginiete; **13** van Serag, die familie van die Seragiete; van Saul, die familie van die Sauliete. **14** Dit was die families van die Simeoniete: 22 200.^l

15 Die seuns van Gad^m volgens hulle families was: van Sefon, die familie van die Sefoniete; van Haggi, die familie van die Haggiëte; van Suni, die familie van die Suniete; **16** van Osni, die familie van die Osnie-

HFST. 26

- a Nu 1:3
- b Ge 29:32
- c Ge 46:8, 9
Eks 6:14
- d Nu 1:21
- e Nu 16:12
- f Nu 16:1
- g Nu 16:5, 19
De 11:6
Ps 106:17
- h Nu 16:32, 35
Ps 106:18
- i Nu 16:38
1Kor 10:10, 11
- j Eks 6:24
Nu 26:58
Ps 42:Ops
- k Ge 35:23
Ge 46:10
Eks 6:15
1Kr 4:24
- l Nu 1:23
- m Ge 35:26
Ge 46:16

Tweede kol.

- a Nu 1:25
- b Ge 29:35
Ge 46:12
- c Ge 38:2-4
- d Ge 38:7-10
- e Ge 38:2, 5
Ge 38:26
1Kr 4:21
- f Ge 38:29
Rut 4:18
Mt 1:3
- g Ge 38:30
1Kr 2:4
- h Rut 4:19
- i 1Kr 2:5
- j Nu 1:27
- k Ge 30:18
Ge 35:23
Ge 46:13
1Kr 7:1
- l 1Kr 7:2
- m Nu 1:29
- n Ge 30:20
Ge 46:14
- o Nu 1:31
- p Ge 30:24
Ge 35:24
Ge 46:20
- q Ge 41:52
- r Ge 41:51
- s Ge 50:23
De 3:15
1Kr 7:14
- t Jos 17:1

te; van Eri, die familie van die Eriete; **17** van Arod, die familie van die Arodiete; van Are'li, die familie van die Areliete. **18** Dit was die families van die seuns van Gad, en hulle geregistreerdes was 40 500.^a

19 Die seuns van Juda^b was Er en Onan.^c Maar Er en Onan het in die land Kanaän gesterf.^d **20** En die seuns van Juda volgens hulle families was: van Sela,^e die familie van die Selaniete; van Peres,^f die familie van die Peresiete; van Serag,^g die familie van die Seragiete. **21** En die seuns van Peres was: van Hesron,^h die familie van die Hesroniete; van Hamuli,ⁱ die familie van die Hamuliete. **22** Dit was die families van Juda, en hulle geregistreerdes was 76 500.^j

23 Die seuns van Is'saskar^k volgens hulle families was: van Tola,^l die familie van die Tolaïete; van Puwa, die familie van die Puniete; **24** van Jasub, die familie van die Jasubiete; van Simron, die familie van die Simroniete. **25** Dit was die families van Is'saskar, en hulle geregistreerdes was 64 300.^m

26 Die seuns van Se'bulonⁿ volgens hulle families was: van Sered, die familie van die Serediete; van Elon, die familie van die Eloniete; van Jag'leël, die familie van die Jagleëliete. **27** Dit was die families van die Sebuloniete, en hulle geregistreerdes was 60 500.^o

28 Die seuns van Josef^p volgens hulle families was: Manasse en E'fraim.^q **29** Die seuns van Manasse^r was: van Magir,^s die familie van die Magiriete; en Magir het die vader van Gi'lead geword;^t van Gi'lead, die familie van die Gileadiete. **30** Dit was die seuns van Gi'lead: van Jesser, die familie van die Jeserie-

te; van Helek, die familie van die Helekiete; **31** van As'riël, die familie van die Asriëliete; van Sigem, die familie van die Sigemiete; **32** van Semi'da, die familie van die Semidaïete; van Hefer, die familie van die Heferiete. **33** En Selof'had, die seun van Hefer, het geen seuns gehad nie, net dogters,^a en die name van die dogters van Selof'had^b was Magla, Noa, Hogla, Milka en Tirsā. **34** Dit was die families van Manas'se, en hulle geregistreerdes was 52 700.^c

35 Dit was die seuns van E'fraim^d volgens hulle families: van Sute'lag,^e die familie van die Sutelagiete; van Beger, die familie van die Begeriete; van Tahan, die familie van die Tahaniete. **36** En dit was die seuns van Sute'lag: van Eran, die familie van die Eraniete. **37** Dit was die families van die seuns van E'fraim, en hulle geregistreerdes was 32 500.^f Dit was die seuns van Josef volgens hulle families.

38 Die seuns van Benjamin^g volgens hulle families was: van Bela,^h die familie van die Belaïete; van Asbel, die familie van die Asbeliete; van Ahi'ram, die familie van die Ahiramiëte; **39** van Sefu'fam, die familie van die Sufamiëte; van Hufam, die familie van die Hufamiëte. **40** Die seuns van Bela was Ard en Naāman:ⁱ van Ard, die familie van die Ardiëte; van Naāman, die familie van die Naāmiete. **41** Dit was die seuns van Benjamin volgens hulle families, en hulle geregistreerdes was 45 600.^j

42 Dit was die seuns van Dan^k volgens hulle families: van Suham, die familie van die Suhamiete. Dit was die families van Dan volgens hulle families. **43** Al die families van die Su-

HFST. 26

a Nu 27:7
1Kr 7:15

b Nu 36:11

c Nu 1:35

d Ge 41:52

e 1Kr 7:20

f Nu 1:33
Jos 17:17g Ge 35:24
Ge 46:21
1Kr 8:1

h 1Kr 7:6

i 1Kr 8:3, 4

j Nu 1:37

k Ge 30:6

Tweede kol.

a Nu 1:39

b Ge 30:13
Ge 35:26
Ge 46:17
1Kr 7:30

c Nu 1:41

d Ge 30:8
Ge 35:25
Ge 46:24
1Kr 7:13

e Nu 1:43

f Eks 38:26
Nu 1:46, 49
Nu 14:29g Jos 11:23
Jos 14:1

h Nu 33:54

i Nu 34:13
Jos 14:2
Jos 17:4
Jos 18:6
Spr 16:33j Ge 46:11
Eks 6:16

hamiëte, van hulle geregistreerdes, was 64 400.^a

44 Die seuns van Aser^b volgens hulle families was: van Jimna, die familie van die Jimnaiëte; van Jiswi, die familie van die Jiswiëte; van Beri'a, die familie van die Beriëte; **45** van die seuns van Beri'a: van Heber, die familie van die Heberiete; van Mal'kiël, die familie van die Malkiëliëte. **46** Die naam van Aser se dogter was Sera. **47** Dit was die families van die seuns van Aser, en hulle geregistreerdes was 53 400.^c

48 Die seuns van Naf'tali^d volgens hulle families was: van Jag'seël, die familie van die Jag'seëliëte; van Guni, die familie van die Guniëte; **49** van Jeser, die familie van die Jeseriete; van Sillem, die familie van die Sillemiete. **50** Dit was die families van Naf'tali volgens hulle families, en hulle geregistreerdes was 45 400.^e

51 Die aantal geregistreerdes van die Israëliëte was altesaam 601 730.^f

52 Daarna het Jehovah vir Moses gesê: **53** "Die land moet as 'n erfenis onder hulle verdeel word, volgens die aantal name op die lys.^g **54** Jy moet die erfdeel van die groter groep groter maak en die erfdeel van die kleiner groep kleiner maak.^h Elke groep se erfdeel moet in verhouding tot die aantal geregistreerdes gegee word. **55** Maar die land moet deur die lot verdeel word.ⁱ Hulle moet hulle erfdeel ontvang volgens die name van die stamme van hulle vaders. **56** Elke erfdeel moet met die lot bepaal word en onder die groter en die kleiner groep verdeel word."

57 En dit was die geregistreerdes van die Leviete^j

volgens hulle families: van Gerson, die familie van die Gersoniete; van Kehat,^a die familie van die Kehatiete; van Mera'ri, die familie van die Merariete. **58** Dit was die families van die Leviete: die familie van die Libniete,^b die familie van die Hebroniete,^c die familie van die Magliete,^d die familie van die Musiete,^e die familie van die Koragiete.^f

Kehat het die vader van Amram geword.^g **59** En die naam van Amram se vrou was Jo'gebed,^h Levi se dogter, wat Levi en sy vrou in Egipte gehad het. En sy en Amram het Aäron en Moses en hulle suster Mirjam gehad.ⁱ **60** Toe het Aäron die vader geword van Nadab, Abi'hu, Elea'sar en I'tamar.^j **61** Maar Nadab en Abi'hu het gesterf omdat hulle onwettige vuur voor Jehovah aangebied het.^k

62 Die geregistreerdes, al die manlike persone van 'n maand en ouer, was altesaam 23 000.^l Want hulle is nie onder die Israeliete geregistreer nie,^m omdat geen erfdele onder die Israeliete aan hulle gegee moes word nie.ⁿ

63 Dit is hulle wat deur Moses en die priester Elea'sar geregistreer is toe hulle die Israeliete op die woestynvlaktes van Moab by die Jordaanrivier oorkant Je'rigo geregistreer het. **64** Maar daar was niemand onder hulle wat deur Moses en die priester Aäron geregistreer is toe die sensus van die Israeliete voorheen in die wildernis Si'nai opgeneem is nie.^o **65** Want Jehovah het van hulle gesê: "Hulle sal vir seker in die wildernis sterf."^p Daar het dus geen man van daardie groep oorgebly nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefun'ne, en Josua, die seun van Nun.^q

HFST. 26

a Nu 3:19

b Eks 6:17
Nu 3:18

c Nu 3:27

d Eks 6:19
Nu 3:33e Nu 3:20
1Kr 23:23

f Eks 6:24

g Eks 6:18
Nu 3:19h Eks 2:1
Eks 6:20i Eks 15:20
Mi 6:4j Eks 6:23
Eks 24:9k Le 10:1, 2
Nu 3:2, 4
1Kr 24:2

l Nu 3:39

m Nu 1:49

n Nu 18:24
De 10:9
De 14:27
Jos 14:3o Nu 1:2
De 2:14
1Kor 10:5

p Heb 3:17

q Nu 14:29, 30
Jos 14:14
Jos 19:49

Tweede kol.

HFST. 27

a Nu 26:33

b Eks 18:25, 26

c Nu 14:35
Nu 16:1, 2
Nu 16:19, 35d Eks 18:15, 16
Eks 33:11
Le 24:11, 12e Nu 36:2
Jos 17:3, 4

27 Toe het die dogters van Selof'had,^a die seun van Hefer, die seun van Gi'lead, die seun van Magir, die seun van Manas'se, van die families van Manas'se, die seun van Josef, nader gekom. Die name van sy dogters was Magla, Noa, Hogla, Milka en Tirsa. **2** Hulle het voor Moses, die priester Elea'sar, die hoofmanne^b en die hele gemeenskap van Israel by die ingang van die tent van saamekoms gaan staan en gesê: **3** "Ons pa het in die wildernis gesterf, maar hy was nie een van die ondersteuners van Korag^c wat teen Jehovah in opstand gekom het nie. Hy het vir sy eie sonde gesterf, en hy het geen seuns gehad nie. **4** Hoe kom moet die naam van ons pa uit sy familie verdwyn omdat hy nie 'n seun gehad het nie? Gee asseblief vir ons 'n besitting onder ons pa se broers." **5** En Moses het hulle saak voor Jehovah gebring.^d

6 Jehovah het toe vir Moses gesê: **7** "Die dogters van Selof'had is reg. Jy moet beslis vir hulle 'n besitting onder hulle pa se broers as 'n erfdele gee, en jy moet hulle pa se erfdele aan hulle oordra.^e **8** En sê vir die Israeliete: 'As iemand sterf en hy nie 'n seun het nie, moet julle sy erfdele aan sy dogter oordra. **9** En as hy nie 'n dogter het nie, moet julle sy erfdele aan sy broers gee. **10** En as hy nie broers het nie, moet julle sy erfdele aan sy pa se broers gee. **11** En as sy pa nie broers het nie, moet julle sy erfdele aan sy naaste familielid gee, en hy moet dit in besit neem. Hierdie regterlike bevel moet as 'n wetsbepaling vir die Israeliete dien, net soos Jehovah Moses beveel het."

12 Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Gaan op teen die

berg in Aba'rim^a en kyk na die land wat ek aan die Israeliete sal gee.^b **13** Nadat jy dit gesien het, sal jy sterf,^c net soos jou broer Aäron,^d **14** want toe die gemeenskap van Israel in die wildernis Zin met my gestry het, het jy in opstand gekom teen my bevel om my voor hulle te heilig deur middel van die waters.^e Dit is die waters van Me'riba^f by Kades^g in die wildernis Zin."^h

15 Toe het Moses vir Jehovah gesê: **16** "Laat Jehovah, die God wat aan alle mense lewe gee, 'n man oor die gemeenskap van Israel aanstel **17** wat voor hulle sal uitgaan en sal inkom en wat hulle sal uitlei en hulle sal inlei, sodat Jehovah se volk nie word soos skape wat nie 'n herder het nie." **18** Jehovah het toe vir Moses gesê: "Neem Josua, die seun van Nun, 'n man in wie daar gees is, en lê jou hand op hom.ⁱ **19** Laat hom dan voor die priester Elea'sar en voor die hele gemeenskap van Israel staan, en jy moet hom voor hulle oë as leier aanstel.^j **20** Jy moet van jou gesag* aan hom oordra,^k sodat die hele volk Israel na hom sal luister.^l **21** Hy moet voor die priester Elea'sar staan, wat Jehovah namens hom sal raadpleeg deur middel van die Urim.^m Op sy bevel moet hulle uitgaan en op sy bevel moet hulle inkom, hy en al die Israeliete saam met hom, die hele gemeenskap."

22 Moses het dus gedoen net soos Jehovah hom beveel het. Hy het Josua geneem en hom voor die priester Elea'sar en voor die hele volk laat staan, **23** en hy het sy hande op hom gelê en hom as leier aangestel,ⁿ net soos Jehovah deur middel van Moses gesê het.^o

27:13 *Lett. "tot jou volk versamel word". 27:20 *Of "waardigheid".

HFST. 27

a Nu 33:47
De 32:48, 49

b Ge 13:14, 15
De 3:27
De 32:52
De 34:1

c Nu 31:2
De 34:7

d Nu 20:24, 28
Nu 33:38
De 10:6
De 32:50

e Nu 20:10, 12
De 1:37

f Ps 106:32, 33

g De 1:2

h Jos 15:1

i De 34:9
Han 6:5, 6

j De 31:7

k De 1:38
De 31:3
De 34:10

l Jos 1:17

m Eks 28:30
1Sa 23:9
1Sa 28:6
Ne 7:65

n Nu 27:18

o De 3:28
De 31:14, 23

Tweede kol.

HFST. 28

a 2Kr 8:13
Ne 10:32, 33

b Eks 29:38
Le 6:9
Ese 46:15

c Eks 29:39

d Eks 29:40
Nu 15:4

e Eks 29:38, 42
2Kr 2:4
Esr 3:3

f Eks 29:39, 40

g Eks 29:41

h Eks 16:29
Eks 20:10
Ese 20:12

28 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** "Gee die Israeliete die volgende bevel: 'Julle moet sorg dat julle my offer, my brood, aanbied. My vuuroffers, wat vir my 'n aangename[#] geur het, moet aangebied word op die tye wat daarvoor vasgestel is.'^a

3 "En sê vir hulle: 'Dit is die vuuroffer wat julle elke dag vir Jehovah moet aanbied: twee ramlammers van 'n jaar oud, sonder gebrek, as 'n gereelde brandoffer.^b **4** Die een ramlam moet jy in die oggend offer, en die ander ramlam moet jy offer wanneer dit skemer word,^c **5** saam met 'n tiende van 'n efa* fynmeel wat gemeng is met 'n kwart hin[#] uitgestampte olie as 'n graanoffer.^d **6** Dit is 'n gereelde brandoffer,^e wat by die berg Si'nai vasgestel is as 'n vuuroffer met 'n aangename[#] geur vir Jehovah. **7** Die drankoffer wat daarmee saamgaan, moet 'n kwart hin vir elke ramlam wees.^f Gooi die alkohol in die heiligdom uit as 'n drankoffer aan Jehovah. **8** En jy moet die ander ramlam offer wanneer dit skemer word.* Jy moet dit as 'n vuuroffer met 'n aangename[#] geur vir Jehovah aanbied, saam met dieselfde soort graanoffer en drankoffer wat in die oggend gemaak word.^g

9 "Maar op die Sabbatdag^h moet die offer bestaan uit twee ramlammers van 'n jaar oud, sonder gebrek, en twee tiendes van 'n efa fynmeel wat met olie gemeng is as 'n graanoffer, asook die drankoffer wat daarmee saamgaan. **10** Dit is

28:2, 6, 8 *Of "kalmerende". Lett. "rustige". 28:4, 8 *Lett. "tussen die twee aande". 28:5 *'n Tiende van 'n efa was gelyk aan 2,2 l. Sien Aanb. B14. #'n Hin was gelyk aan 3,67 l. Sien Aanb. B14.

die brandoffer vir die Sabbat, saam met die gereelde brandoffer en die drankoffer wat daarmee saamgaan.^a

11 “Aan die begin van elke maand moet julle die volgende as ’n brandoffer vir Jehovah aanbied: twee jong bulle, een skaapram en sewe ramlammers wat elk ’n jaar oud is, sonder gebrek,^b **12** drie tiendes van ’n maat fynmeel wat met olie gemeng is as ’n graanoffer^c vir elke bul, twee tiendes van ’n maat fynmeel wat met olie gemeng is as ’n graanoffer vir die een skaapram^d **13** en ’n tiende van ’n maat fynmeel wat met olie gemeng is as ’n graanoffer vir elke ramlam. Dit is ’n brandoffer met ’n aangename* geur,^e ’n vuuroffer aan Jehovah. **14** En hulle drankoffers moet soos volg wees: ’n halwe hin wyn vir ’n bul,^f ’n derde van ’n hin vir die skaapram^g en ’n kwart hin vir ’n ramlam.^h Dit is die maandelikse brandoffer vir elke maand, regdeur die jaar. **15** Een boklam moet ook as ’n sonde-offer aan Jehovah geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die drankoffer wat daarmee saamgaan.

16 “In die eerste maand, op die 14de dag van die maand, sal Jehovah se Pasga wees.ⁱ **17** En op die 15de dag van daardie maand sal daar ’n fees wees. Ongesuurde brode moet sewe dae lank geëet word.^j **18** Op die eerste dag moet daar ’n heilige byeenkoms wees. Julle mag geen harde werk doen nie. **19** En julle moet as ’n brandoffer, ’n vuuroffer aan Jehovah, twee jong bulle, een skaapram en sewe ramlammers wat

28:13, 24, 27 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”.

HFST. 28

a Nu 28:3, 7

b Nu 10:10
1Kr 23:31
2Kr 2:4
Ne 10:32, 33

c Le 2:11

d Le 1:10

e Le 1:10, 13

f Nu 15:8, 10

g Nu 15:6, 7

h Nu 15:5

i Eks 12:14
Le 23:5
De 16:1
Ese 45:21
1Kor 5:7

j Eks 12:15
Le 23:6
1Kor 5:8

Tweede kol.

a Le 22:20, 22
De 15:21

b Le 2:1

c Eks 13:6

d Eks 12:16
Le 23:8
De 16:8

e Eks 23:16

f Eks 34:22
De 16:10
Han 2:1

g Le 23:15, 16

h Le 23:16, 21

i Le 23:16, 18

j Le 23:16, 19

elk ’n jaar oud is, aanbied. Julle moet diere sonder gebrek offer.^a **20** Julle moet hulle offer saam met hulle graanoffers van fynmeel wat met olie gemeng is,^b drie tiendes van ’n maat vir ’n bul en twee tiendes vir die skaapram. **21** Jy moet ’n tiende van ’n maat vir elkeen van die sewe ramlammers offer, **22** sowel as een bok as ’n sonde-offer om vir julle versoening te doen. **23** Julle moet dit offer bo en behalwe die oggendbrandoffer, wat deel is van die gereelde brandoffer. **24** Julle moet dit op dieselfde manier op elkeen van die sewe dae as voedsel^c offer, ’n vuuroffer met ’n aangename* geur vir Jehovah. Dit moet geoffer word saam met die gereelde brandoffer en die drankoffer wat daarmee saamgaan. **25** Op die sewende dag moet julle ’n heilige byeenkoms hou.^c Julle mag geen harde werk doen nie.^d

26 “Op die dag van die eerste opbrengs,^e gedurende julle fees van die weke,^f wanneer julle ’n nuwe graanoffer vir Jehovah aanbied,^g moet julle ’n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen harde werk doen nie.^h

27 Julle moet die volgende as ’n brandoffer met ’n aangename* geur vir Jehovah aanbied: twee jong bulle, een skaapram en sewe ramlammers wat elk ’n jaar oud is.ⁱ **28** Die graanoffer wat daarmee saamgaan, moet soos volg wees: drie tiendes van ’n maat fynmeel wat met olie gemeng is vir elke bul, twee tiendes vir die een skaapram, **29** ’n tiende vir elkeen van die sewe ramlammers, **30** sowel as een boklam om vir julle versoening te doen.^j **31** Julle moet dit offer bo en behalwe die gereelde brandoffer en die

28:24 ^hLett. “brood”.

graanoffer wat daarmee saamgaan. Die diere moet sonder gebrek wees^a en moet saam met hulle drankoffers geoffer word.

29 “En in die sewende maand, op die eerste van die maand, moet julle ’n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen harde werk doen nie.^b Dit is ’n dag waarop julle op die trompet moet blaas.^c **2** Julle moet die volgende as ’n brandoffer met ’n aangename* geur vir Jehovah offer: een jong bul, een skaapram en sewe ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek, **3** en drie tiendes van ’n efa fynmeel wat met olie gemeng is as die graanoffer vir die bul, twee tiendes vir die skaapram **4** en een tiende vir elkeen van die sewe ramlammers. **5** En een jong bokram moet as ’n sonde-offer geoffer word om vir julle versoening te doen. **6** Dit is bo en behalwe die maandelikse brandoffer en die graanoffer wat daarmee saamgaan^d en die gereelde brandoffer en die graanoffer wat daarmee saamgaan,^e saam met hulle drankoffers,^f volgens die gewone prosedure daarvoor, as ’n vuuroffer met ’n aangename* geur vir Jehovah.

7 “En op die tiende van die sewende maand moet julle ’n heilige byeenkoms hou,^g en julle moet julle verneder.* Julle mag geen werk doen nie.^h **8** En julle moet die volgende as ’n brandoffer met ’n aangename* geur vir Jehovah offer: een jong bul, een skaapram en sewe ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.ⁱ **9** En as hulle graanoffer van fyn-

29:2, 6, 8, 13 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”. **29:7** *Kan verwys na verskeie vorme van selfonthouding, insluitende die gebruik om te vas.

HFST. 28

a Le 1:3

HFST. 29

b Le 23:24, 25

c Nu 10:2
Ps 81:3

d Nu 28:11-13

e Nu 28:3, 5

f Nu 28:6, 7

g Le 16:29

h Le 23:27-31

i Le 1:3
Le 22:22
De 15:21
De 17:1

Tweede kol.

a Le 16:3

b Eks 23:16
Le 23:34-36
De 16:13-15
Ne 8:14-18

c Esr 3:4

d Le 22:22
De 17:1

e Nu 28:3-8

f Le 22:22
De 17:1

g Nu 28:3-8

meel wat met olie gemeng is, drie tiendes van ’n maat vir die bul, twee tiendes vir die skaapram **10** en ’n tiende vir elkeen van die sewe ramlammers. **11** Julle moet ook een boklam as ’n sonde-offer bring, bo en behalwe die sonde-offer van versoening^a en die gereelde brandoffer en die graanoffer wat daarmee saamgaan, saam met hulle drankoffers.

12 “En op die 15de dag van die sewende maand moet julle ’n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen harde werk doen nie, en julle moet sewe dae lank ’n fees vir Jehovah vier.^b **13** En julle moet die volgende as ’n brandoffer aanbied,^c as ’n vuuroffer met ’n aangename* geur vir Jehovah: 13 jong bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^d **14** En hulle graanoffer van fynmeel wat met olie gemeng is, moet drie tiendes van ’n maat vir elkeen van die 13 bulle wees, twee tiendes vir elkeen van die 2 skaapramme **15** en ’n tiende vir elkeen van die 14 ramlammers. **16** En een boklam moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer met die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^e

17 “En op die tweede dag: 12 jong bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^f **18** Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **19** En een boklam moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer met die graanoffer en drankoffers wat daarmee saamgaan.^g

20 “En op die derde dag: 11 bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^a

21 Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **22** En een bok moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^b

23 “En op die vierde dag: 10 bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^c

24 Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **25** En een boklam moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^d

26 “En op die vyfde dag: 9 bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^e **27** Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **28** En een bok moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^f

29 “En op die sesde dag: 8 bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^g **30** Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlam-

HFST. 29

a Le 22:22
De 17:1

b Nu 28:3-8

c Le 22:22
De 17:1

d Nu 28:3-8

e De 15:21
De 17:1

f Nu 28:3-8

g Le 22:22
De 17:1

Tweede kol.

a Nu 28:3-8

b Le 22:22
De 17:1

c Nu 28:3-8

d Le 23:36, 39

e Le 22:22
De 17:1

f Nu 28:3-8

g Le 23:2
De 16:16

h De 12:5, 6

i Le 7:16
Le 22:21

j Le 1:3

k Le 2:1

l Nu 15:5

mers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **31** En een bok moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en die drankoffers wat daarmee saamgaan.^a

32 “En op die sewende dag: 7 bulle, 2 skaapramme en 14 ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^b

33 Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bulle, die skaapramme en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **34** En een bok moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^c

35 “Op die agtste dag moet julle ’n heilige vergadering hou. Julle mag geen harde werk doen nie.^d **36** Julle moet die volgende as ’n brandoffer aanbied, as ’n vuuroffer met ’n aangename* geur vir Jehovah: een bul, een skaapram en sewe ramlammers wat elk ’n jaar oud is, almal sonder gebrek.^e **37** Die ooreenstemmende aantal graanoffers en drankoffers moet saam met die bul, die skaapram en die ramlammers geoffer word, volgens die gewone prosedure. **38** En een bok moet as ’n sonde-offer geoffer word, bo en behalwe die gereelde brandoffer en die graanoffer en drankoffer wat daarmee saamgaan.^f

39 “Julle moet dit op julle seisoenfeeste^g aan Jehovah offer, bo en behalwe julle gelofte-offers,^h julle vrywillige offersⁱ wat as brandoffers/ aangebied word, julle graanoffers,^k julle drankoffers^j en julle vrede-

29:36 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”.

offers.”^{*a} **40** Moses het vir die Israeliete alles vertel wat Jehovah hom beveel het.

30 Toe het Moses vir die stamhoofde^b van Israel gesê: “Dit is wat Jehovah beveel het: **2** As ’n man ’n gelofte aan Jehovah maak^c of ’n eed sweer^d waardeur hy ’n gelofte van onthouding maak, mag hy sy woord nie verbreek nie.^e Hy moet alles doen wat hy belowe het.^f

3 “En as ’n vrou ’n gelofte aan Jehovah maak of ’n gelofte van onthouding aflê terwyl sy jonk is en in die huis van haar pa woon, **4** en haar pa haar gelofte of haar gelofte van onthouding hoor wat sy gemaak het en haar pa geen beswaar maak nie, dan sal al haar geloftes van krag wees, en elke gelofte van onthouding wat sy gemaak het, sal van krag wees. **5** Maar as haar pa haar verbied wanneer hy hoor dat sy ’n gelofte of ’n gelofte van onthouding gemaak het, sal dit nie van krag wees nie. Jehovah sal haar vergewe, want haar pa het haar verbied.^g

6 “Maar as sy met ’n man trou terwyl haar gelofte of die oorhaastige belofte wat sy gemaak het, van krag is **7** en haar man daarvan hoor en geen beswaar maak op die dag dat hy daarvan hoor nie, dan sal haar geloftes of die geloftes van onthouding wat sy gemaak het, van krag wees. **8** Maar as haar man haar verbied op die dag dat hy daarvan hoor, mag hy die gelofte of die oorhaastige belofte wat sy gemaak het, ongeldig verklaar,^h en Jehovah sal haar vergewe.

9 “Maar as ’n weduwee of ’n geskeide vrou ’n gelofte maak, sal alles wat sy belowe het, van krag wees.

HFST. 29

a Le 3:1

HFST. 30

b Eks 18:25

c Ge 28:20-22
Rig 11:30, 31

d Ps 132:1-5

e De 23:21
Ps 116:14
Ps 119:106
Pr 5:4
Mt 5:33

f Ps 50:14
Ps 66:13

g Eks 20:12

h Ro 7:2
1Kor 11:3
Ef 5:22

Tweede kol.

a 1Kor 11:3
1Pe 3:1

b De 23:21

HFST. 31

c Ps 94:1
Jes 1:24
Na 1:2

d Nu 22:7
Nu 25:1-3
Nu 25:17, 18
1Kor 10:8
Op 2:14

e Nu 27:12, 13
De 32:48-50

10 “As ’n vrou egter ’n gelofte of ’n gelofte van onthouding gemaak het terwyl sy in die huis van haar man is **11** en haar man dit gehoor het en geen beswaar daarteen gemaak het nie, sal al haar geloftes of enige gelofte van onthouding wat sy gemaak het, van krag wees.

12 Maar as haar man enige gelofte of gelofte van onthouding wat sy gemaak het, heeltemal ongeldig verklaar het op die dag dat hy dit gehoor het, sal dit nie van krag wees nie.^a Haar man het dit ongeldig verklaar, en Jehovah sal haar vergewe.

13 Enige gelofte of enige eed waarmee sy belowe om haarself iets te ontsê, moet deur haar man bevestig word of ongeldig verklaar word. **14** Maar as tyd verbygaan en haar man glad nie beswaar maak nie, bevestig hy al haar geloftes of al haar geloftes van onthouding. Hy bevestig dit omdat hy nie beswaar gemaak het op die dag toe hy gehoor het dat sy dit maak nie. **15** Maar as hy dit later, die een of ander tyd ná die dag toe hy dit gehoor het, ongeldig verklaar, sal hy die gevolge van haar fout dra.^b

16 “Dit is die wetsvoorskrifte wat Jehovah Moses beveel het in verband met ’n man en sy vrou, en in verband met ’n pa en sy jong dogter wat in sy huis woon.”

31 Jehovah het toe vir Moses gesê: **2** “Neem wraak^c vir die Israeliete op die Midianiete.^d Daarna sal jy sterf.”^{*e}

3 Toe het Moses vir die volk gesê: “Julle moet van die manne toerus om te veg* teen Mi’dian en om vir Jehovah wraak te neem op Mi’dian. **4** Julle moet

31:2 *Lett. “tot jou volk versamel word”. **31:3** *Of “vir die leërmag”.

1000 uit elke stam van al die stamme van Israel na die leërmag stuur." **5** Uit die duisende van Israel^a is 1000 toe uit elke stam aangewys, 12 000 toegerus vir die geveg.*

6 Toe het Moses 1000 uit elke stam na die geveg uitgestuur, saam met Pi'nehas,^b die seun van die priester Elea'sar. Pi'nehas het saam met die leërmag gegaan, en hy het die heilige voorwerpe en die trompette om die seine te gee,^c in sy hand gehad. **7** Hulle het oorlog teen Mi'dian gemaak, net soos Jehovah Moses beveel het, en hulle het elke manlike persoon doodgemaak. **8** Onder dié wat doodgemaak is, was die konings van Mi'dian, naamlik Ewi, Rekem, Sur, Hur en Reba, die vyf konings van Mi'dian. Hulle het ook Bi'leam,^d die seun van Beor, met die swaard doodgemaak. **9** Maar die Israëliete het die vrouens en kinders van Mi'dian as gevangenes weggeneem. Hulle het ook al hulle beeste, skape, bokke en al hulle besittings geneem. **10** En hulle het al hulle stede waarin hulle gewoon het en al hulle kampe* met vuur verbrand. **11** En hulle het alles wat hulle kon, mense sowel as diere, saamgeneem. **12** Toe het hulle die gevangenes en alles wat hulle geneem het na Moses en die priester Elea'sar en die gemeenskap van Israel gebring, na die kamp op die woestynvlaktes van Moab^e naby die Jordaandrivier oorkant Je'rigo.

13 Toe het Moses en die priester Elea'sar en al die hoofmanne van die gemeenskap hulle buite die kamp gaan ontmoet. **14** Maar Moses het kwaad geword vir die manne wat oor

31:5 *Of "vir die leërmag". 31:10 *Of "ommuurde kampe".

HFST. 31

a Nu 26:51

b Nu 25:7, 8

c Nu 10:2, 9

d Nu 22:12
2Pe 2:15
Op 2:14

e Nu 22:1

Tweede kol.

a Nu 25:1, 2
Op 2:14

b Nu 25:17, 18
De 4:3
Jos 22:17

c Nu 25:9
1Kor 10:8

d Nu 31:35

e Nu 5:2
Nu 19:11, 16

f Nu 19:20

g Nu 19:9

h Nu 19:19, 20

die leërmag aangestel was, die hoofde oor 1000 en die hoofde oor 100, wat van die geveg af gekom het. **15** Moses het vir hulle gesê: "Het julle al die vrouens laat lewe? **16** Dit is juis hulle wat, deur Bi'leam se woord, die Israëliete gekry het om ontrou aan Jehovah te wees^a by Peor,^b wat veroorsaak het dat die plaag oor die volk van Jehovah gekom het.^c **17** Nou moet julle al die manlike kinders en al die vrouens wat seksuele omgang met 'n man gehad het, doodmaak. **18** Maar julle mag al die jong meisies wat nie seksuele omgang met 'n man gehad het nie, laat lewe.^d **19** En julle moet sewe dae lank buite die kamp bly. Elkeen van julle wat iemand* doodgemaak het en elkeen van julle wat geraak het aan iemand wat doodgemaak is,^e moet hom op die derde dag en op die sewende dag reinig,^f julle en julle gevangenes. **20** En julle moet elke kleed, elke voorwerp van vel, alles wat van bokhaar gemaak is en elke houtvoorwerp reinig van sonde."

21 Die priester Elea'sar het toe vir die manne van die leërmag wat gaan veg het, gesê: "Dit is die wetsbepaling wat Jehovah Moses gegee het: **22** 'Net die goud, die silwer, die koper, die yster, die tin en die lood, **23** alles wat vuurbestand is, moet julle deur die vuur laat gaan, en dit sal rein wees. Maar dit moet ook met die reinigingswater gewas word.^g Alles wat nie vuurbestand is nie, moet julle met die water was. **24** En julle moet julle klere op die sewende dag was en rein wees, en daarna mag julle in die kamp inkom."^h

31:19 *Of "'n siel".

25 Jehovah het toe vir Moses gesê: **26** “Stel ’n lys op van alles wat geneem is, insluitende die gevangenes en die diere. Doen dit saam met die priester Elea’sar en die hoofde van die vaderhuise van die gemeenskap van Israel. **27** Verdeel alles wat geneem is in twee dele: een deel vir dié in die leërmag wat aan die geveg deelgeneem het, en die ander deel vir die res van die gemeenskap van Israel.” **28** Neem by die soldate wat gaan veg het as belasting vir Jehovah een siel* uit elke 500 van die mense, die beeste, die donkies en die kleinvee. **29** Julle moet dit uit hulle helfte neem en dit vir die priester Elea’sar gee as Jehovah se bydrae.^b **30** Uit die helfte wat vir die Israeliete gegee is, moet jy een uit 50 neem van die mense, die beeste, die donkies, die kleinvee en van elke soort mak dier, en jy moet dit vir die Leviete gee,^c wat na die verantwoordelikhede in verband met Jehovah se tabernakel omsien.”^d

31 Moses en die priester Elea’sar het toe gedoen net soos Jehovah Moses beveel het. **32** Die res van die diere wat deur die manne geneem is, was 675 000 kleinvee, **33** 72 000 beeste **34** en 61 000 donkies. **35** Die aantal vrouens wat nie seksuele omgang met ’n man gehad het nie,^e was 32 000. **36** Dié wat gaan veg het, het die helfte ontvang as hulle deel, naamlik: 337 500 kleinvee. **37** Die belasting vir Jehovah uit die kleinvee was 675. **38** Hulle het ook 36 000 beeste ontvang, en die belasting daarop vir Jehovah was 72. **39** Hulle het 30 500 donkies ontvang, en die belasting daarop vir Jehovah was 61. **40** Hul-

31:28 *Sien Woordelys.

HFST. 31

a Jos 22:7, 8
1Sa 30:24

b Nu 18:20, 29

c De 12:19

d Nu 3:6, 7
Nu 18:2, 3
1Kr 23:32

e Nu 31:18

Tweede kol.

a Nu 18:8, 19

b De 12:19

c Nu 3:6, 7
Nu 18:2, 3
1Kr 23:32

d Nu 31:4

e Eks 23:27
Le 26:7, 8

le het 16 000 mense ontvang, en die belasting vir Jehovah was 32 mense. **41** Toe het Moses die belasting vir die priester Elea’sar gegee as die bydrae vir Jehovah,^a net soos Jehovah Moses beveel het.

42 Die helfte wat aan die Israeliete behoort het, wat Moses eenkant gesit het van die deel vir die manne wat oorlog gevoer het, **43** was 337 500 kleinvee, **44** 36 000 beeste, **45** 30 500 donkies **46** en 16 000 mense. **47** Toe het Moses uit die Israeliete se helfte een uit 50 geneem van die mense en van die diere en hulle vir die Leviete gegee,^b wat na die verantwoordelikhede van Jehovah se tabernakel omsien het,^c net soos Jehovah Moses beveel het.

48 Toe het die manne wat oor die duisende van die leërmag aangestel was,^d die hoofde oor 1 000 en die hoofde oor 100, na Moses toe gekom, **49** en hulle het vir Moses gesê: “U knegte het die aantal soldate getel wat onder ons bevel is, en nie een van hulle word vermis nie.” **50** Laat elkeen van ons dus wat hy gevind het, as ’n offer vir Jehovah aanbied: goue voorwerpe, enkelkettinkies, armbande, seëlringe, ooringe en ander juwele, om vir ons versoening te doen voor Jehovah.”

51 Moses en die priester Elea’sar het dus die goud, dit wil sê al die juwele, van hulle aanvaar. **52** Al die goud van die bydrae wat die hoofde oor 1 000 en die hoofde oor 100 vir Jehovah gegee het, was altesaam 16 750 sikkels.* **53** Elke man van die leërmag het vir hom oorlogsbuit geneem. **54** Moses en die priester Elea’sar het die

31:52 *’n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

goud van die hoofde oor 1000 en oor 100 aanvaar en dit in die tent van samekoms ingebring as 'n herinnering vir die Israeliete voor Jehovah.

32 En die kinders van Ruben^a en die kinders van Gad^b het baie vee gehad, en hulle het gesien dat die land Jaser^c en die land Gi'lead 'n goeie streek vir vee is. **2** Die kinders van Gad en die kinders van Ruben het dus na Moses, die priester Elea'sar en die hoofmanne van die gemeenskap gegaan en gesê: **3** "A'tarat, Dibon, Jaser, Nimra, Hesbon,^d Elea'le, Sebam, Nebo^e en Beon,^f **4** die land wat Jehovah voor die gemeenskap van Israel verower het,^g is 'n goeie land vir vee, en u knegte het baie vee."^h **5** Hulle het verder gesê: "As ons u goedkeuring het, laat dit die land wees wat aan u knegte as 'n besitting gegee word. Moet ons nie deur die Jordaanrivier laat trek nie."

6 Toe het Moses vir die kinders van Gad en die kinders van Ruben gesê: "Moet julle broers gaan oorlog voer terwyl julle hier bly? **7** Hoekom wil julle die volk Israel se moed breek sodat hulle nie in die land sal wil ingaan wat Jehovah hulle beslis sal gee nie? **8** Dit is wat julle vaders gedoen het toe ek hulle van Ka'des-Barne'a af gestuur het om te gaan kyk hoe die land lyk.ⁱ **9** Toe hulle na die Eskolvallei^j gegaan het en die land gesien het, het hulle die Israeliete se moed gebreek sodat hulle nie in die land wou ingaan wat Jehovah aan hulle sou gee nie.^k **10** Jehovah het op daardie dag woedend geword, en hy het gesweer: **11** 'Die manne van 20 jaar en ouer wat uit Egipte getrek het, sal nie die

HFST. 32

a Nu 26:7

b Nu 26:18

c Nu 21:32

d Nu 21:26

e Nu 33:47

f Nu 32:37, 38

g Nu 21:23, 24
De 2:24

h De 2:35

i Nu 13:31
Jos 14:7, 8j Nu 13:23
De 1:24k Nu 13:32
De 1:26-28l Ps 95:11
Ese 20:15
Heb 3:18

Tweede kol.

a Nu 14:29, 30
De 2:14b Ge 13:14, 15
Ge 26:3
Ge 28:13

c Nu 13:30

d Jos 19:49

e Nu 14:24
De 1:34-38
Jos 14:8f Nu 14:33
De 29:5
Jos 5:6
Ps 95:10
Han 13:18g Nu 26:63, 64
De 2:14
1Kor 10:5
Heb 3:17h De 3:18
Jos 4:12

i Jos 22:1, 4

j Nu 32:33
Jos 12:1
Jos 13:8

k Jos 4:13

land sien^a wat ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed belowe het nie,^b want hulle het my nie heelhartig gevolg nie - **12** behalwe Kaleb,^c die seun van Jefun'ne, die Kenissiet, en Josua,^d die seun van Nun, want hulle het Jehovah heelhartig gevolg.^e **13** Daarom het Jehovah woedend geword vir Israel, en hy het hulle 40 jaar^f lank in die wildernis laat rondswerf, totdat die hele geslag wat gedoen het wat sleg is in Jehovah se oë, aan hulle einde gekom het.^g **14** Nou het julle in die plek van julle vaders opgestaan as 'n spul sondige mense wat die brandende woede van Jehovah teen Israel laat vererger. **15** As julle ophou om hom te volg, sal hy hierdie hele volk beslis weer in die wildernis los, en julle sal vir hulle ondergang verantwoordelik wees."

16 Hulle het later na hom toe gekom en gesê: "Laat ons hier klipkrale vir ons vee en stede vir ons kinders bou. **17** Maar ons sal gereed wees vir oorlog^h en sal voor die Israeliete uit gaan totdat ons hulle na hulle plek gebring het. Intussen sal ons kinders in die versterkte stede woon, waar hulle veilig sal wees teen die inwoners van die land. **18** Ons sal nie na ons huise terugkeer voordat elkeen van die Israeliete hulle grond as 'n erfdeel ontvang het nie.ⁱ **19** Want ons sal nie 'n erfdeel saam met hulle aan die ander kant van die Jordaanrivier ontvang nie, want ons het ons erfdeel aan die oostekant van die Jordaanrivier ontvang."^j

20 Moses het hulle geantwoord: "As julle wapens opneem om voor Jehovah oorlog te voer^k **21** en elkeen van julle voor Jehovah deur die Jordaanrivier trek terwyl hy sy vyande

voor hom uit verdryf^a **22** tot dat die land voor Jehovah onderwerp is,^b kan julle daarna terugkeer^c en vry wees van skuld voor Jehovah en Israel. Dan sal hierdie land julle besitting word voor Jehovah.^d **23** Maar as julle dit nie doen nie, sondig julle teen Jehovah. Weet dan dat julle sonde julle sal inhaal. **24** Julle mag dus stede vir julle kinders en krale vir julle kleinvee bou,^e maar julle moet doen wat julle belowe het.”

25 Die kinders van Gad en die kinders van Ruben het toe vir Moses gesê: “U knegte sal doen net soos ons heer beveel. **26** Ons kinders, ons vrouens en al ons beeste, skape en bokke sal in die stede van Gi'lead bly,^f **27** maar u knegte, elke man wat gewapen is om oorlog te voer voor Jehovah, sal oorgaan,^g net soos ons heer sê.”

28 Toe het Moses instruksies in verband met hulle aan die priester Elea'sar, aan Josua, die seun van Nun, en aan die hoofde van die vaderhuise van die stamme van Israel gegee. **29** Moses het vir hulle gesê: “As die kinders van Gad en die kinders van Ruben saam met julle deur die Jordaanrivier trek, elke man gewapen vir die oorlog voor Jehovah, en die land voor julle onderwerp is, dan moet julle die land Gi'lead vir hulle as 'n besitting gee.^h **30** Maar as hulle nie wapens opneem en saam met julle oorgaan nie, sal hulle saam met julle in die land Kanaän gaan woon.”

31 Toe het die kinders van Gad en die kinders van Ruben geantwoord: “Ons sal doen wat Jehovah vir u knegte gesê het. **32** Ons sal wapens opneem en voor Jehovah oorgaan na die land Kanaän,ⁱ maar die besitting wat ons sal erf, sal aan hier-

HFST. 32

a Ps 78:55

b Jos 11:23

Jos 18:1

Ps 44:2

c Jos 22:4, 9

d De 3:19, 20

Jos 1:14, 15

Jos 13:8

e Nu 32:16

Nu 32:34-38

f Jos 1:12-14

g Jos 4:12

h Jos 13:15, 24

i Jos 4:13

Tweede kol.

a De 3:12

b Jos 22:7

c Nu 21:23, 24

De 2:31

d De 3:4

e Nu 33:45

Jos 13:15, 17

f Nu 32:3, 4

g De 2:36

Jos 12:1, 2

h Nu 21:32

i Rig 8:11

j Nu 32:3, 4

k Jos 13:27, 28

l Nu 21:26

m Nu 32:3, 4

n Jos 13:15, 19

o Nu 32:3, 4

p Jos 13:15, 17

q Nu 26:29

r De 3:13

Jos 13:31

Jos 17:1

s De 3:14

Jos 13:29, 30

HFST. 33

t Eks 13:18

die kant van die Jordaanrivier wees.” **33** Toe het Moses aan hulle – aan die kinders van Gad, die kinders van Ruben^a en aan die halwe stam van Manas'se,^b die seun van Josef – die koninkryk van Sihon,^c die koning van die Amoriete, en die koninkryk van Og,^d die koning van Basan, gegee, sowel as die land wat aan die stede in daardie gebiede behoort en die stede van die omliggende gebied.

34 En die kinders van Gad het Dibon^e gebou,^{*} sowel as A'tarot,^f A'roër,^g **35** Atrot-Sofan, Jaser,^h Jog'beha,ⁱ **36** Bet-Nimra^j en Bet-Haran,^k versterkte stede, en hulle het klipkrale vir die kleinvee gebou. **37** En die kinders van Ruben het Hesbon^l gebou, sowel as Elea'le,^m Kirjata'im,ⁿ **38** Nebo^o en Baäl-Meon^p – hulle name is verander – en Sibma. Hulle het die name verander van die stede wat hulle herbou het.

39 Die seuns van Magir,^q die seun van Manas'se, het teen Gi'lead opgetrek en dit ingeneem en die Amoriete verdryf wat daar was. **40** Toe het Moses Gi'lead aan die seuns van Magir, die seun van Manas'se gegee, en hulle het daar begin woon.^r **41** En Jaïr, die seun van Manas'se, het teen hulle opgetrek en hulle tentdorpe ingeneem, en hy het hulle Hawwot-Jaïr^s genoem. **42** En Nobag het teen Kenat opgetrek en sy afhanklike^{*} dorpe ingeneem, en hy het dit na sy eie naam, Nobag, vernoem.

33 Dit was die roete wat die Israëliete gevolg het toe hulle volgens hulle afdelings^{*t} onder die leiding van Moses en

32:34 *Of “herbou”. **32:41** *Betekent “tentdorpe van Jaïr”. **32:42** *Of “omliggende”. **33:1** *Lett. “leërmagte”.

Aäron^a uit Egipte^b getrek het. **2** Moses het op bevel van Jehovah die vertrekplekke volgens hulle roete bly neerskryf, en dit was hulle roete van die een vertrekplek na die ander:^c **3** Hulle het op die 15de dag van die eerste maand^d van Ramses af weggetrek.^e Op die dag net ná die Pasga^f het die Israëliete vol vertroue* voor die oë van al die Egiptenare uitgegaan. **4** Intussen het die Egiptenare al hulle eersgeborenes begrawe wat Jehovah doodgemaak het,^g want Jehovah het hulle gode geoordeel en gestraf.^h

5 En die Israëliete het van Ramses af weggetrek en in Sukkot kamp opgeslaan.ⁱ **6** Toe het hulle van Sukkot af weggetrek en in Etam kamp opgeslaan,^j wat aan die rand van die wildernis is. **7** Daarna het hulle van Etam af weggetrek en teruggedraai na Pi-Hagirot, wat voor Baäl-Sefon is,^k en hulle het voor Migdol kamp opgeslaan.^l **8** Daarna het hulle van Pi-Hagirot af weggetrek en deur die see gegaan^m na die wildernis,ⁿ en hulle het drie dagreise ver in die wildernis van Etam getrek^o en by Mara kamp opgeslaan.^p

9 Toe het hulle van Mara af weggetrek en by Elim gekom. En in Elim was daar 12 waterfonteine en 70 palmbome, en daarom het hulle daar kamp opgeslaan.^q **10** Hulle het toe van Elim af weggetrek en by die Rooisee kamp opgeslaan. **11** Daarna het hulle van die Rooisee af weggetrek en in die wildernis Sin kamp opgeslaan.^r **12** Toe het hulle uit die wildernis Sin weggetrek en by Dofka kamp opgeslaan. **13** Later het hulle van Dofka af weggetrek en by Alus kamp opgeslaan. **14** Hulle het toe van Alus af

HFST. 33

a Jos 24:5
1Sa 12:8

b Eks 12:51

c Nu 9:17

d Eks 12:2
Eks 13:4e Ge 47:11
Eks 12:37f Eks 12:3,6
De 16:1g Eks 12:29
Ps 78:51h Eks 12:12
Eks 18:11

i Eks 12:37

j Eks 13:20

k Eks 14:9

l Eks 14:2

m Eks 14:22

n Eks 15:22

o Eks 13:20

p Eks 15:23

q Eks 15:27

r Eks 16:1

Tweede kol.

a Eks 17:1, 8

b Eks 18:5
Eks 19:1, 2
Nu 1:1
Nu 3:4
Nu 9:1c Nu 11:34
De 9:22d Nu 11:35
Nu 12:16

e Nu 9:17

f De 10:6

weggetrek en in Re'fidim kamp opgeslaan,^a waar daar geen water vir die volk was om te drink nie. **15** Daarna het hulle van Re'fidim af weggetrek en in die wildernis Si'nai kamp opgeslaan.^b

16 Hulle het uit die wildernis Si'nai weggetrek en by Kib'rot-Hatta'äwa kamp opgeslaan.^c **17** Toe het hulle van Kib'rot-Hatta'äwa af weggetrek en in Ha'serot kamp opgeslaan.^d **18** Daarna het hulle van Ha'serot af weggetrek en in Ritma kamp opgeslaan. **19** En hulle het van Ritma af weggetrek en in Rimmon-Peres kamp opgeslaan. **20** Toe het hulle van Rimmon-Peres af weggetrek en in Libna kamp opgeslaan. **21** Hulle het van Libna af weggetrek en in Rissa kamp opgeslaan. **22** Daarna het hulle van Rissa af weggetrek en in Kehela'ta kamp opgeslaan. **23** Toe het hulle van Kehela'ta af weggetrek en by die berg Sefer kamp opgeslaan.

24 Daarna het hulle van die berg Sefer af weggetrek en in Ha'rada kamp opgeslaan. **25** Toe het hulle van Ha'rada af weggetrek en in Mak'helot kamp opgeslaan. **26** En hulle het van Mak'helot af weggetrek^e en in Tahat kamp opgeslaan. **27** Daarna het hulle van Tahat af weggetrek en in Tera kamp opgeslaan. **28** Toe het hulle van Tera af weggetrek en in Mitka kamp opgeslaan. **29** Later het hulle van Mitka af weggetrek en in Hasmo'na kamp opgeslaan. **30** En hulle het van Hasmo'na af weggetrek en in Mo'serot kamp opgeslaan. **31** Toe het hulle van Mo'serot af weggetrek en in Bene'-Ja'äkan kamp opgeslaan.^f **32** Daarna het hulle van Bene'-Ja'äkan af weggetrek en in Hor-

Hag'gidgad kamp opgeslaan. **33** En hulle het van Hor-Hag'gidgad af weggetrek en in Jotba'ta kamp opgeslaan.^a **34** Later het hulle van Jotba'ta af weggetrek en in Abro'na kamp opgeslaan. **35** Toe het hulle van Abro'na af weggetrek en in E'seon-Ge'ber^b kamp opgeslaan. **36** Daarna het hulle van E'seon-Ge'ber af weggetrek en in die wildernis Zin,^c dit wil sê Kades, kamp opgeslaan.

37 Later het hulle van Kades af weggetrek en by die berg Hor kamp opgeslaan,^d aan die grens van die land Edom. **38** En die priester Aäron het op bevel van Jehovah teen die berg Hor opgeklim, en hy het daar gesterf in die 40ste jaar nadat die Israeliete Egipte verlaat het, in die vyfde maand, op die eerste van die maand.^e **39** Aäron was 123 jaar oud toe hy op die berg Hor gesterf het.

40 En die koning van Arad,^f die Kanaäniet wat in die Negeb in die land Kanaän gewoon het, het gehoor dat die Israeliete op pad is.

41 Ná verloop van tyd het hulle van die berg Hor af weggetrek^g en in Sal'mona kamp opgeslaan. **42** Daarna het hulle van Sal'mona af weggetrek en in Punon kamp opgeslaan. **43** En hulle het van Punon af weggetrek en in Obot kamp opgeslaan.^h **44** Toe het hulle van Obot af weggetrek en in Ije-Abar'im, aan die grens van Moab,ⁱ kamp opgeslaan. **45** Later het hulle van Ijim af weggetrek en in Dibon-Gad kamp opgeslaan. **46** Daarna het hulle van Dibon-Gad af weggetrek en in Al'mon-Diblata'im kamp opgeslaan. **47** Toe het hulle van Al'mon-Diblata'im af weggetrek en in die Aba'rim-berge,^k voor Nebo,^l kamp op-

HFST. 33

a De 10:7

b De 2:8
1Kn 9:26c Nu 20:1
Nu 27:14
De 32:51
Jos 15:1

d Nu 20:22

e De 10:6

f Nu 21:1

g Nu 21:4

h Nu 21:10

i Ge 19:36, 37
Nu 21:11, 13

j Nu 32:34

k Nu 27:12
De 32:48, 49

l De 34:1

Tweede kol.

a Nu 22:1

b Nu 25:1
Jos 2:1

c Jos 3:17

d Le 26:1

e Le 19:4
De 27:15f Eks 23:24
Eks 34:13, 17
De 7:5
De 12:3

g De 32:8

h Spr 16:33

i Nu 26:53, 54

j Jos 15:1
Jos 16:1
Jos 18:11k Rig 1:21
Ps 106:34l Eks 23:31-33
De 7:3, 4
Jos 23:12, 13
Rig 2:2, 3m Le 18:28
Jos 23:15

HFST. 34

n Ge 15:18
Ge 17:8

geslaan. **48** Laastens het hulle van die Aba'rim-berge af weggetrek en op die woestynvlaktes van Moab by die Jordaanrivier oorkant Je'rigo kamp opgeslaan.^a **49** Hulle het kamp opgeslaan langs die Jordaanrivier, van Bet-Je'simot af tot by Abel-Sittim,^b op die woestynvlaktes van Moab.

50 Jehovah het op die woestynvlaktes van Moab by die Jordaanrivier oorkant Je'rigo vir Moses gesê: **51** "Sê vir die Israeliete: 'Julle gaan deur die Jordaanrivier trek in die land Kanaän in.^c **52** Julle moet al die inwoners van die land voor julle uit verdryf en al hulle klipfigure^d en al hulle metaalbeelde^e vernietig, en julle moet al hulle heilige offerhoogtes^f verwoes. **53** En julle sal die land in besit neem en daarin woon, want ek sal die land beslis as 'n besitting aan julle gee.^g **54** Julle moet die land deur die lot verdeel^h as 'n besitting onder julle families. Julle moet die erfdeel van die groter groepe groter maak en die erfdeel van die kleiner groepe kleiner maak.ⁱ Elkeen se erfdeel sal wees waar die lot vir hom val. Julle sal julle eiendom as 'n erfdeel volgens die stamme van julle vaders ontvang.^j

55 "Maar as julle nie die inwoners van die land voor julle uit verdryf nie,^k sal dié wat julle laat oorbly, soos iets word wat julle oë irriteer en soos dorings in julle sye, en hulle sal dié vir julle moeilik maak in die land waarin julle sal woon.^l **56** En ek sal aan julle doen wat ek aan hulle wou doen."^m

34 En Jehovah het verder vir Moses gesê: **2** "Gee die Israeliete hierdie instruksies: 'Wanneer julle in die land Kanaän ingaan,ⁿ moet dié die

grense wees van die land wat julle as 'n erfdeel sal ontvang:^a

3 “Julle suidelike grens moet van die wildernis Zin af langs Edom strek, en aan die oostekant moet julle suidelike grens by die verste punt van die Soutsee* begin.^b **4** Julle grens moet van rigting verander en suid verby die opdraand van Ak-rab'bim gaan^c en moet tot by Zin strek, en die eindpunt daarvan moet suid van Ka'des-Barne^ad wees. Dan moet dit tot by Hasar-Addar strek,^e en dan tot by Asmon. **5** Die grens moet by Asmon van rigting verander en moet tot by die Vallei* van Egipte strek, en die eindpunt daarvan moet by die See^f wees.^f

6 “Die Grootsee* en die kus moet julle westelike grens wees. Dit moet julle westelike grens word.^g

7 “En dit moet julle noordelike grens wees: Julle grens moet van die Grootsee af tot by die berg Hor wees. **8** Van die berg Hor af moet die grens tot by Lebo-Hamat* gaan,^h en die eindpunt van die grens moet by Sedad wees.ⁱ **9** En die grens moet tot by Sifron strek, en die eindpunt daarvan moet by Hasar-Enan wees.^j Dit moet julle noordelike grens word.

10 “Julle oostelike grens moet van Hasar-Enan tot by Sefam strek. **11** Die grens moet van Sefam tot by Ribla, oos van Ajin, strek, en die grens moet afloop deur die heuwels oos van die Kinne'ret-see.*^k **12** Die grens moet strek tot by die Jordaanrivier, en die eindpunt daarvan moet by die Soutsee

34:3 *Die Dooie See. **34:5** *Of “Wadi”. Sien Woordelys. ^aDie Grootsee, die Middellandse See. **34:6** *Die Middellandse See. **34:8** *Of “die ingang van Hamat”. **34:11** *Die Meer van Gennesaret, of die See van Galilea.

HFST. 34

- a Ge 10:19
De 4:38
Jos 1:4
Jos 14:1
Jer 3:19
Han 17:26
b Jos 15:1, 2
c Rig 1:36
d Nu 13:26
Nu 32:8
e Jos 15:1, 3
f Eks 23:31
Jos 15:1, 4
g Jos 1:4
Jos 15:12
h Nu 13:21
2Kn 14:25
i Ese 47:15
j Ese 47:17
k De 3:16, 17
Jos 11:1, 2
Lu 5:1
Joh 6:1

Tweede kol.

- a Jos 15:1, 2
b De 8:7-9
c Nu 26:55
Nu 33:54
Jos 14:2
Jos 18:6
Spr 16:33
d Nu 32:33
De 3:12, 13
Jos 13:8
e Nu 32:5, 32
f Nu 3:32
Nu 20:26
Jos 14:1
g Nu 14:38
Nu 27:18
Jos 19:51
h Nu 1:4, 16
i Jos 15:1
j Nu 14:30
Nu 26:65
k Jos 19:1
l Jos 18:11
m Jos 19:40
n Ge 46:20
Ge 48:5
Jos 16:1
o Jos 17:1
p Jos 16:5
q Jos 19:10
r Jos 19:17

wees.^a Dit sal julle land^b en die grense daarvan wees.”

13 Toe het Moses vir die Israëliete gesê: “Dit is die land wat julle deur die lot as julle besitting moet verdeel,^c net soos Jehovah beveel het om aan die nege en 'n half stamme te gee. **14** Want die stam van die Rubeniete volgens hulle vaderhuis, die stam van die Gadiete volgens hulle vaderhuis en die halwe stam van Manas'se het reeds hulle erfdeel geneem.^d **15** Die twee en 'n half stamme het reeds hulle erfdeel geneem oos van die Jordaanstreek oorkant Je'rigo, in die rigting van die sonsopkoms.”^e

16 Jehovah het verder vir Moses gesê: **17** “Dit is die name van die manne wat die land vir julle as 'n besitting moet verdeel: die priester Elea'sar^f en Josua,^g die seun van Nun. **18** En julle moet uit elke stam een hoofman neem om die land as julle erfenis te verdeel.^h **19** Dit is die name van die manne: van die stam van Juda,ⁱ Kaleb,^j die seun van Jefon'e; **20** van die stam van die kinders van Si'meon,^k Se'muel, die seun van Ammi'hud; **21** van die stam van Benjamin,^l Eli'dad, die seun van Kison; **22** van die stam van die kinders van Dan,^m 'n hoofman, Bukki, die seun van Jogli; **23** van die kinders van Josef,ⁿ van die stam van die kinders van Manas'se,^o 'n hoofman, Han'niël, die seun van Efod; **24** van die stam van die kinders van E'fraim,^p 'n hoofman, Ke'muel, die seun van Sifan; **25** van die stam van die kinders van Se'bulon,^q 'n hoofman, Eli'safan, die seun van Parnag; **26** van die stam van die kinders van Is'saskar,^r 'n hoofman, Pal'tiël, die seun van As-

san; **27** van die stam van die kinders van Aser,^a 'n hoofman, Ahi'hud, die seun van Selo'mi; **28** van die stam van die kinders van Naf'tali,^b 'n hoofman, Peda'el, die seun van Ammi'hud." **29** Dit is hulle aan wie Jehovah die bevel gegee het om die land Kanaän onder die Israeliete te verdeel.^c

35 Jehovah het op die woestynvlaktes van Moab by die Jordaanrivier^d oorkant Je'rigo vir Moses gesê: **2** "Sê vir die Israeliete dat hulle stede uit hulle erfdeel aan die Leviete moet gee om in te woon,^e en hulle moet die weivelde rondom die stede aan die Leviete gee.^f **3** Hulle sal in die stede woon, en die weivelde sal vir hulle vee, hulle besittings en al hulle ander diere wees. **4** Die weivelde rondom die stede wat julle aan die Leviete moet gee, moet van die stadsmuur af buitentoe 1000 el* wees. **5** Julle moet buite die stad 2000 el aan die oostekant meet, 2000 el aan die suidekant, 2000 el aan die westekant en 2000 el aan die noordkant, met die stad in die middel. Dit sal die weivelde van hulle stede wees.

6 "Julle moet 6 vrystede^g aan die Leviete gee, sodat 'n persoon wat iemand doodgemaak het, daarheen kan vlug,^h en julle moet vir hulle ook 42 ander stede gee. **7** Julle moet altesaam 48 stede aan die Leviete gee, saam met hulle weivelde.ⁱ **8** Die stede wat julle aan hulle gee, moet uit die besitting van die Israeliete wees.^j Julle moet meer stede by die groter groepe neem, en minder stede by die kleiner groepe.^k Elke groep moet van sy stede aan die Le-

35:4 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 34

a Jos 19:24

b Jos 19:32

c Nu 34:18
De 32:8
Jos 19:51
Han 17:26

HFST. 35

d Nu 22:1
Nu 36:13e Ge 49:7
De 18:1
Jos 14:4f Le 25:32-34
Jos 21:3
2Kr 11:14g Jos 20:2,
3, 7, 8
Jos 21:13, 21,
27, 32, 36, 38

h De 4:42

i Jos 21:3

j Ge 49:7

k Nu 26:54
Nu 33:54

Tweede kol.

a Eks 3:8
Eks 23:23
Nu 34:2b Eks 21:12, 13
De 4:42
De 19:4, 5c Nu 35:19
De 19:6d De 19:11, 12
Jos 20:5, 9

e De 4:41-43

f De 19:8, 9
Jos 20:7g Eks 12:49
Le 19:34
Nu 15:16

h Jos 20:2, 3

i Ge 9:5
Eks 21:12
Le 24:17
De 19:11, 12

viete gee in verhouding tot die erfdeel wat hy ontvang."

9 Jehovah het verder vir Moses gesê: **10** "Sê vir die Israeliete: 'Julle gaan deur die Jordaanrivier trek na die land Kanaän.^a **11** Julle moet stede uitkies wat vir julle geskik is om as vrystede te dien, waarheen 'n persoon kan vlug as hy iemand* onopsetlik doodgemaak het.^b **12** Hierdie stede sal vir julle as 'n beskerming teen die bloedwreker dien,^c sodat die persoon wat iemand doodgemaak het, nie sterf voordat hy deur die gemeente verhoor word nie.^d **13** Dit sal die doel wees van die ses vrystede wat julle voorsien. **14** Julle moet drie stede aan hierdie kant van die Jordaanrivier voorsien^e om as vrystede te dien, en drie stede in die land Kanaän.^f **15** Hierdie ses stede sal as 'n beskerming dien vir die Israeliete, vir die uitlander wat onder julle woon^g en vir die tydelike inwoner, sodat die persoon wat iemand* onopsetlik doodmaak, daarheen kan vlug.^h

16 "Maar as hy hom met 'n ystervoorwerp geslaan het en die persoon sterf, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet vir seker doodgemaak word.ⁱ **17** En as hy hom geslaan het met 'n klip wat hom kan doodmaak, en die persoon sterf, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet vir seker doodgemaak word. **18** En as hy hom geslaan het met 'n houtvoorwerp wat hom kan doodmaak, en die persoon sterf, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet vir seker doodgemaak word.

19 "Die bloedwreker is die een wat die moordenaar moet doodmaak. Wanneer hy op hom

35:11, 15 *Of "n siel".

afkom, moet hy hom doodmaak. **20** As hy hom uit haat gestamp het of met slegte bedoelings* iets na hom gegooi het^a en die persoon sterf, **21** of as hy hom uit haat met sy hand geslaan het en die persoon sterf, moet die een wat hom geslaan het, vir seker doodgemaak word. Hy is 'n moordenaar. Die bloedwreker moet die moordenaar doodmaak wanneer hy op hom afkom.

22 “Maar as hy hom per ongeluk gestamp het en hom nie gehaat het nie, of as hy hom met 'n voorwerp gegooi het, maar nie slegte bedoelings gehad het nie,^b **23** of as hy hom nie gesien het nie en 'n klip op hom laat val het en hy nie sy vyand was of hom wou seermaak nie en die persoon gesterf het, **24** dan moet die gemeente oordeel tussen die een wat hom geslaan het en die bloedwreker, in ooreenstemming met hierdie bevel.^c **25** Die regters van Israel moet dan die persoon wat iemand doodgemaak het, uit die hand van die bloedwreker red, en hulle moet hom laat terugkeer na sy vrystad waarheen hy gevlug het, en hy moet daarin woon tot die dood van die hoëpriester wat met die heilige olie gesalf is.^d

26 “Maar as die persoon wat iemand doodgemaak het, buite die grens van sy vrystad gaan waarheen hy gevlug het, **27** en die bloedwreker hom buite die grens van sy vrystad vind, en die bloedwreker hom doodmaak, is hy nie bloedskuldig nie. **28** Want hy moet in sy vrystad woon totdat die hoëpriester sterf. Maar ná die hoëpriester

35:20 *Lett. “terwyl hy hom voorgelê het”. 35:22 *Lett. “sonder dat hy hom voorgelê het”.

HFST. 35

a Eks 21:14
De 19:11, 12b Eks 21:12, 13
De 19:4, 5
Jos 20:2, 3c Nu 35:12
Jos 20:4, 5

d Eks 29:4, 7

Tweede kol.

a Jos 20:6

b Ge 9:6
Eks 20:13c De 17:6
De 19:15
Heb 10:28d Ge 9:5
Eks 21:14
De 19:13e Ge 4:8, 10
Ps 106:38
Lu 11:50

f Ge 9:6

g Eks 25:8
Le 26:12

HFST. 36

h Nu 26:29

i Nu 26:55
Nu 33:54

se dood mag die persoon wat iemand doodgemaak het, terugkeer na die grond wat hy besit.^a **29** Hierdie dinge moet vir julle in al julle geslagte en in al julle woonplekke as 'n wetsbepaling dien wanneer daar geoordeel word.

30 “Enigiemand wat 'n persoon doodmaak, moet as 'n moordenaar doodgemaak word^b as die saak deur* getuies bevestig kan word,^c maar niemand moet doodgemaak word as daar net een persoon is wat teen hom getuig nie. **31** Julle mag geen losprys aanvaar vir die lewe van 'n moordenaar wat verdien om te sterf nie, want hy moet vir seker doodgemaak word.^d **32** En julle mag nie vir iemand wat na sy vrystad gevlug het, 'n losprys aanvaar en hom dan toelaat om weer op sy grond te gaan woon voordat die hoëpriester gesterf het nie.

33 “Julle mag nie die land waarin julle woon, besoedel nie, want bloed besoedel die land,^e en daar mag geen versoening wees vir die bloed wat in die land vergiet is nie, behalwe deur die bloed van die persoon wat dit vergiet het.^f **34** Julle mag nie die land waarin julle woon, en waarin ek woon, onrein maak nie, want ek, Jehovah, woon by die Israeliete.”^g

36 Die familiehoofde van die nakomelinge van Gi'lead, die seun van Magir,^h die seun van Manas'se, van die families van die kinders van Josef, het na Moses en die hoofmanne, die familiehoofde van die Israeliete, gegaan **2** en gesê: “Jehovah het ons heer beveel om die land deur die lot te verdeelⁱ as 'n erfenis aan die Israeliete. En ons heer is deur Jehovah beveel om

35:30 *Of “uit die mond van”.

die erfdeel van ons broer Selof'had aan sy dogters te gee.^a **3** As hulle met mans van 'n ander Israelitiese stam trou, sal die vrouens se erfdeel nie meer deel wees van die erfdeel van ons vaders nie en sal dit by die erfdeel van die stam gevoeg word waaraan hulle dan sal behoort. Dit sal nie meer deel wees van ons erfdeel wat deur die lot toegewys is nie. **4** En as die Jubeljaar^b vir die Israeliete aanbreek, sal die vrouens se erfdeel by die erfdeel van die stam gevoeg word waaraan hulle dan sal behoort, sodat hulle erfdeel nie meer deel sal wees van die erfdeel van die stam van ons vaders nie.”

5 Toe het Moses op bevel van Jehovah vir die Israeliete gesê: “Wat die stam van die kinders van Josef sê, is reg. **6** Dit is die woord wat Jehovah aangaande die dogters van Selof'had beveel het: ‘Hulle mag trou met wie hulle ook al wil. Maar hulle moet met iemand uit 'n familie van die stam van hulle pa trou. **7** Geen erfdeel van die Israeliete mag van een stam na 'n ander stam oorgedra word nie,

HFST. 36

a Nu 27:1-7

b Le 25:10

Tweede kol.

a 1Kr 23:22

b Nu 36:6

c Nu 27:1

d Nu 26:3
Nu 33:50
Nu 35:1

want die Israeliete moet die erfdeel van die stam van hulle voorvaders behou. **8** En elke dogter wat 'n erfdeel onder die stamme van Israel besit, moet die vrou word van 'n nakomeling van haar pa se stam,^a sodat die Israeliete die erfdeel van hulle voorvaders kan behou. **9** Geen erfdeel mag van een stam na 'n ander stam oorgedra word nie, want elke stam van Israel moet sy eie erfdeel behou.”

10 Die dogters van Selof'had het gedoen net soos Jehovah Moses beveel het.^b **11** Gevolglik het Magla, Tirsa, Hogla, Milka en Noa, die dogters van Selof'had,^c met die seuns van hulle pa se broers getrou. **12** Hulle het die vrouens geword van mans uit die families van Manas'se, die seun van Josef, sodat hulle erfdeel in die stam van hulle pa se familie kon bly.

13 Dit is die gebooië en die regterlike bevel wat Jehovah deur middel van Moses aan die Israeliete gegee het op die woestynvlaktes van Moab by die Jordaanrivier oorkant Jerigo.^d

DEUTERONOMIUM

O O R S I G

- 1 Israel verlaat berg Horeb (1-8)
Hoofmanne en regters aangestel (9-18)
Ongehoorsaamheid by
Kades-Barnea (19-46)
Israel weier om in land in te gaan (26-33)
Onsuksesvolle poging om Kanaän te verower (41-46)
- 2 Israel 38 jaar lank in wildernis (1-23)

- Oorwinning oor koning Sihon van Hesbon (24-37)
- 3 Oorwinning oor koning Og van Basan (1-7)
Land oos van Jordaan verdeel (8-20)
Moses sê vir Josua om nie bang te wees nie (21, 22)
Moses sal nie in land ingaan nie (23-29)

- 4 Volk aangespoor om gehoorsaam te wees (1-14)
Moenie God se dade vergeet nie (9)
Jehovah vereis uitsluitlike toegewydheid (15-31)
Geen ander God buiten Jehovah nie (32-40)
Vrystede oos van Jordaan (41-43)
Inleiding tot die Wet (44-49)
- 5 Jehovah se verbond by Horeb (1-5)
Herhaling van Tien Gebooië (6-22)
Volk is bang by berg Sinai (23-33)
- 6 Jy moet Jehovah met jou hele hart liefhê (1-9)
"Luister, o Israel" (4)
Ouers moet hulle kinders leer (6, 7)
Moenie Jehovah vergeet nie (10-15)
Moenie Jehovah toets nie (16-19)
Vertel die volgende geslag (20-25)
- 7 Sewe nasies wat vernietig moet word (1-6)
Waarom Israel uitgekies is (7-11)
Gehoorsaamheid lei tot sukses (12-26)
- 8 Oorsig van seëninge van Jehovah (1-9)
"Nie van brood alleen lewe nie" (3)
Moenie Jehovah vergeet nie (10-20)
- 9 Waarom land aan Israel gegee is (1-6)
Israel maak Jehovah vier keer kwaad (7-29)
Die goue kalf (7-14)
Moses pleit vir Israeliete (15-21, 25-29)
Nog drie gevalle van opstand (22)
- 10 Twee kliptablette vervang (1-11)
Wat Jehovah vereis (12-22)
Vrees Jehovah en wees lief vir hom (12)
- 11 Julle het Jehovah se grootheid gesien (1-7)
Die Beloofde Land (8-12)
Belonings vir gehoorsaamheid (13-17)
God se woorde moet in harte bewaar word (18-25)
"n Seën en 'n vloek" (26-32)
- 12 Aanbidding by plek wat God uitkies (1-14)
Mag vleis eet, maar nie bloed nie (15-28)
- Moenie deur ander gode verstrik word nie (29-32)
- 13 Hoe om afvalliges te behandel (1-18)
- 14 Ongepaste maniere om te rou (1, 2)
Rein en onrein voedsel (3-21)
Tiende vir Jehovah (22-29)
- 15 Skuld elke sewende jaar afgeskryf (1-6)
Hulp vir armes (7-11)
Slawe elke sewende jaar vrygelaat (12-18)
Els deur slaaf se oor (16, 17)
Eersgebore diere geheilig (19-23)
- 16 Pasga; Fees van Ongesuurde Brode (1-8)
Fees van Weke (9-12)
Huttefees (13-17)
Aanstel van regters (18-20)
Verbode voorwerpe van aanbidding (21, 22)
- 17 Offerandes moet sonder gebrek wees (1)
Hoe afvalligheid hanteer moet word (2-7)
Moeilike regsake (8-13)
Riglyne vir toekomstige koning (14-20)
Koning moet afskrif van Wet maak (18)
- 18 Priesters en Leviete se deel (1-8)
Toorkuns verbode (9-14)
Profeet soos Moses (15-19)
Hoe om valse profete te identifiseer (20-22)
- 19 Bloedskuld en vrystede (1-13)
Mag nie grensmerkers skuif nie (14)
Getuies in hof (15-21)
Twee of drie getuies nodig (15)
- 20 Reëls in verband met oorlogvoering (1-20)
Vrystelling van militêre diens (5-9)
- 21 Onopgeloste moorde (1-9)
Huwelike met vroue wat gevange geneem is (10-14)
Reg van eersgeborene (15-17)
Hardkoppige seun (18-21)
Man wat aan paal gehang is, vervloek (22, 23)

- 22 Respek vir medemens se diere (1-4)
Mag nie klere van teenoorgestelde geslag dra nie (5)
Goedheid teenoor diere (6, 7)
Muurtjie om dak (8)
Ongepaste kombinasies (9-11)
Tossels aan klere (12)
Wette oor seksuele oortredings (13-30)
- 23 Dié wat nie in God se gemeente mag kom nie (1-8)
Reinheid van kamp (9-14)
Slawe wat ontsnap het (15, 16)
Prostitusie verbode (17, 18)
Rente en geloftes (19-23)
Wat verbygangers mag eet (24, 25)
- 24 Huwelik en egskeding (1-5)
Respek vir lewe (6-9)
Bedagsaamheid teenoor armes (10-18)
Reëls oor oesoorblyfsels (19-22)
- 25 Slaan van oortreders (1-3)
Moenie bul se bek toebind nie (4)
Swaershuwelik (5-10)
Straf vir gryp van geslagsdele gedurende gevegte (11, 12)
Eerlike gewigte en maathouers (13-16)
Amalekiete moet vernietig word (17-19)
- 26 Offer van eersteling (1-11)
Tweede tiende (12-15)
Israel, Jehovah se spesiale eiendom (16-19)
- 27 Wet moet op klippe geskryf word (1-10)
- By berg Ebal en berg Gerisim (11-14)
Vloeke uitgespreek (15-26)
- 28 Seëninge vir gehoorsaamheid (1-14)
Vloeke vir ongehoorsaamheid (15-68)
- 29 Verbond met Israel in Moab (1-13)
Waarskuwing teen ongehoorsaamheid (14-29)
Geheime dinge, geopenbaarde dinge (29)
- 30 Terugkeer na Jehovah (1-10)
Jehovah se gebooië nie te moeilik nie (11-14)
Keuse tussen lewe en dood (15-20)
- 31 Moses op punt om te sterf (1-8)
Openbare voorlesing van Wet (9-13)
Josua aangestel (14, 15)
Israel se opstandigheid voorspel (16-30)
Lied wat Israel moes leer (19, 22, 30)
- 32 Lied van Moses (1-47)
Jehovah, die Rots (4)
Israel vergeet sy Rots (18)
“Die wraak is myne” (35)
“Wees bly, o nasies, saam met sy volk” (43)
Moses sal op berg Nebo sterf (48-52)
- 33 Moses seën stamme (1-29)
Jehovah se “ewige arms” (27)
- 34 Jehovah wys vir Moses die land (1-4)
Moses sterf (5-12)

1 Dit is wat Moses vir die hele Israel gesê het in die Jordaanstreek in die wildernis, op die woestynvlaktes oorkant Suf, tussen Paran, Tofel, Laban, Ha'serot en Di-Sahab. **2** (Dit neem 11 dae om van Horeb tot by Ka'des-Barne'a^a met die pad van die berg Seir te reis.) **3** In die 40ste jaar,^b in die 11de maand, op die eerste van die maand, het Moses vir die Israeliete alles vertel wat Je-

HFST. 1

- a De 9:23
b Nu 32:13
Nu 33:38

Tweede kol.

- a Nu 21:23, 24
Jos 12:1, 2
b Nu 21:33-35
c Jos 13:8, 12
d De 4:8
De 17:18
Ne 8:7

hovah hom beveel het om vir hulle te sê. **4** Dit was nadat hy Sihon,^a die koning van die Amorie, wat in Hesbon gewoon het, en Og,^b die koning van Basan, wat in As'tarot gewoon het, in Edre'i verslaan het.^c **5** In die Jordaanstreek, in die land Moab, het Moses die Wet begin verduidelik^d deur te sê:

6 “Jehovah ons God het vir ons by Horeb gesê: ‘Julle het lank genoeg in hierdie

bergstreek^a gewoon. **7** Vertrek en gaan na die bergstreek van die Amorie^b en na al die omliggende gebiede: die A'ra-ba,^c die bergstreek, die Sje'la, die Negeb en die seekus.^d Gaan na die land van die Kanaäniete. Gaan tot by die Li'banon-berge^e en die groot rivier, die Eufraat-rivier.^f **8** Kyk, ek gee die land vir julle. Gaan in en neem die land in besit wat Jehovah aan julle vaders, aan Abraham, Isak^g en Jakob,^h met 'n eed belowe het om aan hulle en hulle nageslag* te gee.ⁱ

9 "En ek het vir julle by daardie geleentheid gesê: 'Ek kan julle nie alleen dra nie.' **10** Jehovah julle God het julle laat vermeerder, en julle is vandag so baie soos die sterre van die hemel.^k **11** Mag Jehovah, die God van julle voorvaders, julle 'n duisend keer meer maak^l as wat julle is, en mag hy julle seën net soos hy julle belowe het.^m **12** Julle en julle probleme is 'n las en 'n vraag wat ek nie alleen kan dra nie.ⁿ **13** Kies wyse, verstandige en ervare manne uit julle stamme, en ek sal hulle as hoofde oor julle aanstel.^o **14** Julle het my geantwoord: 'Wat u vir ons gesê het om te doen, is goed.' **15** Toe het ek die hoofde van julle stamme geneem, wyse en ervare manne, en hulle as hoofde oor julle aangestel, hoofde oor 1000, hoofde oor 100, hoofde oor 50, hoofde oor 10 en beampes van julle stamme.^p

16 "Toe het ek julle regters beveel: 'Wanneer julle 'n saak tussen julle broers verhoor, moet julle met regverdigheid oordeel^q tussen 'n man en sy broer of 'n uitlander wat onder julle woon.' **17** Julle mag nie partydig wees wanneer julle

HFST. 1

- a Eks 19:1
Nu 10:11, 12
b Ge 15:16
c Jos 12:2, 3
d Jos 9:1, 2
e Jos 13:1, 5
1Kn 9:19
f Ge 15:18
g Ge 26:3
h Ge 28:13
i Ge 12:7
Ge 13:14, 15
Ge 17:1, 7
j Eks 18:17, 18
k Ge 15:1, 5
Eks 32:13
Nu 26:51
De 10:22
l 1Kn 3:8
m Ge 12:1-3
Ge 22:15, 17
Ge 26:3, 4
Eks 23:25
n Eks 18:17, 18
Nu 11:11
Nu 20:3
o Eks 18:21
p Eks 18:25
q Eks 23:8
De 16:18
Joh 7:24
r Eks 22:21
Le 19:34
Le 24:22

Tweede kol.

- a Le 19:15
Ro 2:11
b Eks 23:3
c Spr 29:25
d 2Kr 19:6
e Eks 18:25, 26
f Nu 10:12
De 8:14, 15
Jer 2:6
g Nu 13:29
h Nu 13:26
i Eks 23:27
De 1:8
j Nu 13:1, 2
k Nu 13:3
l Nu 13:17
m Nu 13:23-27

oordeel nie.^a Julle moet klein en groot op dieselfde manier behandel.^b Julle moenie deur mense geïntimideer word nie,^c want die oordeel behoort aan God.^d En as 'n saak vir julle te moeilik is, moet julle dit na my toe bring, en ek sal dit verhoor.^e **18** Toe het ek vir julle instruksies gegee in verband met al die dinge wat julle moet doen.

19 "Daarna het ons van Horeb af weggetrek en deur daardie groot en verskriklike wildernis^f getrek, wat julle gesien het op die pad na die bergstreek van die Amorie^g, net soos Jehovah ons God ons beveel het, en ons het uiteindelik by Ka'des-Barne'a^h gekom. **20** Ek het toe vir julle gesê: 'Julle het by die bergstreek van die Amorie^g gekom, wat Jehovah ons God aan ons gee. **21** Kyk, Jehovah julle God het die land aan julle oorgegee. Gaan en neem dit in besit, net soos Jehovah, die God van julle voorvaders, vir julle gesê het.ⁱ Moenie bang wees of vrees nie.'

22 "Maar julle almal het na my toe gekom en gesê: 'Laat ons manne stuur om voor ons uit te gaan om die land vir ons te verken en vir ons te kom sê watter roete ons moet volg en by watter soort stede ons sal kom.'^j **23** Die voorstel het vir my goed geklink, en daarom het ek 12 van julle manne gekies, een vir elke stam.^k **24** Hulle het vertrek en in die bergstreek^l opgegaan en by die Eskol-vallei* gekom en dit verken. **25** Hulle het van die vrugte van die land geneem en dit na ons toe teruggebring, en hulle het vir ons kom sê: 'Die land wat Jehovah ons God aan ons gee, is goed.'^m **26** Maar julle het geweier om te gaan, en julle het in opstand

1:8 *Lett. "saad".

1:24 *Of "wadi Eskol". Sien Woordelys.

gekome teen die bevel van Jehovah julle God.^a **27** Julle het in julle tente bly kla en gesê: 'Jehovah het ons gehaat, en daarom het hy ons uit Egipte uitgelei om ons aan die Amoriete oor te gee, sodat hulle ons kan vernietig. **28** Na watter soort plek gaan ons? Ons broers het ons moed laat verloor^{*b} deur te sê: "Hulle is 'n volk wat groter en langer is as ons, en hulle stede is groot en tot aan die hemel versterk,^{*c} en ons het die kinders van die Enakiete^d daar gesien."

29 "Toe het ek vir julle gesê: 'Moenie vir hulle bang wees nie.^e **30** Jehovah julle God sal voor julle uit gaan en sal vir julle veg,^f net soos hy in Egipte voor julle oë gedoen het.^g **31** En julle het in die wildernis gesien hoe Jehovah julle God julle gedra het soos 'n man sy seun dra, oral waar julle gegaan het totdat julle by hierdie plek gekom het.' **32** Maar ondanks dit alles het julle nie geloof gestel in Jehovah julle God nie,^h **33** wat voor julle uit gegaan het om vir julle 'n plek uit te soek waar julle kon kamp opslaan. Hy het in die nag deur middel van vuur en in die dag deur middel van 'n wolk verskyn om vir julle te wys op watter pad julle moet loop.ⁱ

34 "Die hele tyd het Jehovah gehoor wat julle sê, en hy het kwaad geword en het gesweer.^j **35** 'Nie een man van hierdie slegte geslag sal die goeie land sien wat ek met 'n eed belowe het om aan julle vaders te gee nie,^k **36** behalwe Kaleb, die seun van Jefun'ne. Hy sal dit sien, en ek sal aan hom en aan sy kinders die land gee waarop hy geloop het, omdat

1:28 *Lett. "het ons hart laat smelt".
"D.w.s. met mure wat baie hoog is.

HFST. 1

a Nu 14:1-4

b Nu 32:9
Jos 14:7,8

c Nu 13:28, 33

d Nu 13:22
Jos 11:21

e Nu 14:9

f Eks 14:14
Jos 10:42

g Nu 14:22

h Ps 78:22
Ps 106:24
Heb 3:16, 19
Jud 5

i Eks 13:21
Eks 40:36
Nu 10:33, 34
Ps 78:14

j Nu 14:28, 35
Nu 32:10-12
De 2:14
Ps 95:11
Heb 3:11

k Nu 14:29, 35
1Kor 10:1, 5
Heb 3:17

Tweede kol.

a Nu 14:24
Jos 14:9

b Nu 20:12
Nu 27:13, 14
De 3:26
Ps 106:32

c Eks 33:11
Nu 11:28

d Nu 14:38

e Nu 27:18
De 31:7
Jos 1:6, 9

f Nu 14:3

g Nu 14:30, 31

h Nu 14:25

i Nu 14:39-45

j Le 26:14, 17

hy Jehovah heelhartig* gevolg het.^a **37** (Jehovah het selfs vir my kwaad geword as gevolg van julle, en hy het gesê: "Jy sal ook nie daar ingaan nie.^b **38** Josua, die seun van Nun, wat voor jou staan,^c is die een wat in die land sal ingaan.^d Versterk hom,^{*e} want hy sal sorg dat Israel die land erf.") **39** Wat meer is, julle kinders wat julle gesê het deur julle vyande weg-geneem sal word,^f en julle seuns wat vandag nie weet wat goed of wat sleg is nie, hulle sal daar ingaan, en ek sal dit aan hulle gee om te besit.^g **40** Maar julle moet terugdraai en na die wildernis vertrek met die pad wat na die Rooisee gaan.^h

41 "Toe het julle vir my gesê: 'Ons het teen Jehovah gesondig. Ons sal nou opgaan en veg, net soos Jehovah ons God ons beveel het!' Toe het elkeen van julle sy oorlogswapens geneem, en julle het gedink dat dit maklik sou wees om in die bergstreek op te gaan.ⁱ **42** Maar Jehovah het vir my gesê: 'Sê vir hulle: "Julle moenie opgaan en veg nie, want ek sal nie met julle wees nie.^j As julle gaan, sal julle deur julle vyande verslaan word.'" **43** Ek het dus met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie. Julle het eerder in opstand gekom teen Jehovah se bevel. Julle was vermetel* en het na die bergstreek probeer opgaan. **44** Toe het die Amoriete wat in daardie bergstreek gewoon het, soos bye na julle toe uitgekom en julle weggejaag, en hulle het julle in Seir tot by Horma verstrooi. **45** Toe het julle teruggekeer en

1:36 *Lett. "ten volle; volkome". 1:38 *Of moontlik "God het hom versterk".

1:43 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

voor Jehovah begin huil, maar Jehovah het nie na julle geluister of hom aan julle gesteur nie. **46** Dit is hoekom julle so lank in Kades gebly het.

2 “Toe het ons omgedraai en na die wildernis vertrek met die pad wat na die Rooisee gaan, net soos Jehovah vir my gesê het,^a en ons het baie lank om die berg Seïr getrek. **2** Uiteindelik het Jehovah vir my gesê: **3** ‘Julle het lank genoeg om hierdie berg getrek. Draai nou na die noorde toe. **4** En gee die volk hierdie bevel: “Julle sal langs die grens van julle broers verbygaan, die nakomelinge van Esau,^b wat in Seïr woon,^c en hulle sal bang wees vir julle,^d en julle moet baie versigtig wees. **5** Moenie met hulle in ‘n geveg betrokke raak nie, want ek sal nie ‘n deel van hulle land aan julle gee nie, nie eers die grootte van ‘n voetspoor nie, want ek het die berg Seïr aan Esau as sy besitting gegee.^e **6** Julle moet vir hulle geld gee vir die kos wat julle sal eet, en julle moet betaal vir die water wat julle sal drink.^f **7** Want Jehovah julle God het julle geseën in alles wat julle gedoen het. Hy is deeglik bewus van julle trek deur hierdie groot wildernis. Hierdie 40 jaar was Jehovah julle God met julle, en julle het niks kortgekom nie.”^g **8** Toe het ons verby ons broers getrek, die nakomelinge van Esau,^h wat in Seïr woon, en weggebly van die pad van die A’raba, van Elat en van E’seon-Ge’ber.ⁱ

“Daarna het ons weggedraai en verder getrek met die pad van die wildernis van Moab.^j **9** Jehovah het toe vir my gesê: ‘Moenie met Moab in ‘n geveg betrokke raak of oorlog teen hulle voer nie, want ek sal nie ‘n deel van sy land aan jul-

HFST. 2

a Nu 14:25

b Nu 20:14
De 23:7c Ge 27:39, 40
Ge 36:8, 9d Eks 15:15
Eks 23:27e De 32:8
Jos 24:4
Han 17:26

f Nu 20:18, 19

g De 29:5
Ne 9:21
Ps 23:1
Ps 34:9, 10

h Nu 20:20, 21

i 2Kr 8:17

j Nu 21:13
Rig 11:17, 18
2Kr 20:10

Tweede kol.

a Ge 19:36, 37

b Ge 14:5

c De 3:11
1Kr 20:6

d Nu 13:22, 33

e Ge 14:6
Ge 36:20

f Ge 27:39, 40

g Nu 21:12

h Nu 14:33
Nu 32:11
De 1:35
Ps 95:11
Heb 3:18
Jud 5

i 1Kor 10:1, 5

j Nu 26:63, 64

k Ge 19:36, 38
De 2:9
Rig 11:15
2Kr 20:10
Han 17:26

le as ‘n besitting gee nie, omdat ek Ar aan die nakomelinge van Lot as ‘n besitting gegee het.^a **10** (Die Emiete^b het voorheen daar gewoon. Hulle was ‘n groot, sterk volk en hulle was lank soos die Enakiete. **11** Die Refaïete^c is ook soos die Enakiete^d beskou, en die Moabiete het hulle Emiete genoem. **12** Die Horiëte^e het voorheen in Seïr gewoon, maar die nakomelinge van Esau het hulle land in besit geneem en hulle vernietig en in hulle plek gaan woon,^f net soos Israel sal doen met die land wat hulle besitting is, wat Jehovah beslis aan hulle sal gee.) **13** Gaan nou en trek deur die Sered-vallei.* Gevolglik het ons deur die Sered-vallei^g getrek. **14** Vandat ons van Ka’des-Barne’a af weg is totdat ons deur die Sered-vallei* getrek het, het 38 jaar verbygegaan. Teen daardie tyd was daar niemand in die kamp oor van die hele geslag manne wat oud genoeg was om te veg nie. Hulle het almal gesterf, net soos Jehovah vir hulle gesweer het.^h **15** Jehovah se hand was teen hulle om hulle uit die kamp uit te wis, totdat hulle aan hulle einde gekom het.ⁱ

16 “En toe al die manne wat oud genoeg was om te veg onder die volk uitgestorf het,^j **17** het Jehovah weer met my gepraat en gesê: **18** ‘Julle gaan vandag verby die gebied van Moab, dit wil sê Ar. **19** Wanneer julle naby die Ammoniete kom, moet julle nie vyandig teenoor hulle wees of ‘n geveg met hulle begin nie, want ek sal nie ‘n deel van die land van die Ammoniete aan julle as ‘n besitting gee nie, omdat ek dit aan die nakomelinge van Lot as hulle besitting gegee het.^k **20** Dit was

2:13, 14 *Of “wadi Sered”. Sien Woordelys.

ook as die land van die Refaïete^a beskou. (Die Refaïete het voorheen daar gewoon, en die Ammoniete het hulle Samsummiete genoem. **21** Hulle was 'n groot, sterk volk en hulle was lank soos die Enakiete,^b maar Jehovah het hulle verslaan voor die Ammoniete, en hulle het hulle verdryf en in hulle plek gaan woon. **22** Hy het dieselfde gedoen vir die nakomelinge van Esau, wat nou in Seir woon,^c toe hy die Horiëte^d voor hulle verslaan het, sodat hulle hulle land in besit kon neem. Hulle woon vandag nog in hulle plek. **23** Die Awwiëte het in dorpe gewoon tot by Gasa,^e totdat die Kafforiëte,^f wat van Kaffor* gekom het, hulle vernietig het en in hulle plek gaan woon het.)

24 “Staan op en trek deur die Arnon-vallei.*^g Kyk, ek het Sihon,^h die Amoriet, die koning van Hesbon, in julle hand gegee. Begin dus om sy land in besit te neem en voer oorlog teen hom. **25** Van vandag af sal ek al die volke onder die hemel wat die berig oor julle hoor, baie bang laat word vir julle. Hulle sal ontsteld wees en bewes* as gevolg van julle.ⁱ

26 “Toe het ek boodskappers uit die wildernis Kede'mot^j na koning Sihon van Hesbon gestuur met hierdie woorde van vrede:^k **27** ‘Laat my deur u land trek. Ek sal op die pad bly en nie regs of links draai nie.’ **28** Ek sal net die kos eet en net die water drink wat u aan my sal verkoop. Laat my net toe om te voet deur u gebied te trek, **29** net soos die nakomelinge van Esau wat in Seir woon en die Moabiëte wat in Ar woon,

2:23 *D.w.s. Kreta. 2:24, 36 *Of “wadi Arnon”. Sien Woordelys. 2:25 *Of “pyne hê soos dié by 'n geboorte”.

HFST. 2

a Ge 15:18-20
De 3:11b Nu 13:33
De 9:1, 2

c Ge 36:8

d Ge 14:6
De 2:12

e Ge 10:19

f Ge 10:13, 14

g Nu 21:13

h Nu 21:23

i Eks 15:14
Eks 23:27
De 11:25
Jos 2:9, 10j Jos 13:15, 18
Jos 21:8, 37

k De 20:10

l Nu 21:21, 22

Tweede kol.

a Ro 9:18

b Nu 21:25

c Nu 32:33
Ps 135:10-12d Nu 21:23, 24
Rig 11:20

e De 20:16, 17

f De 3:12
De 4:47, 48
Jos 13:8, 9

g Ps 44:3

h De 3:16
Rig 11:15

i Nu 21:23, 24

HFST. 3

j Nu 21:33-35

vir my gedoen het. Dan kan ek deur die Jordaanrivier trek na die land wat Jehovah ons God aan ons gee.’ **30** Maar koning Sihon van Hesbon het ons nie deur sy gebied laat trek nie, want Jehovah julle God het toegelaat dat hy hardkoppig word^a en dat sy hart verhard, sodat Hy hom in julle hand kon gee, soos vandag die geval is.^b

31 “Toe het Jehovah vir my gesê: ‘Kyk, ek het reeds begin om Sihon en sy land aan julle oor te gee. Begin om sy land in besit te neem.’^c **32** Toe Sihon saam met sy hele leërmag uitkom om by Jahas teen ons te veg,^d **33** het Jehovah ons God hom aan ons oorgegee, sodat ons hom, sy seuns en sy hele leërmag verslaan het. **34** Ons het toe al sy stede ingeneem en elke stad vernietig, insluitende die mans, vrouens en kinders. Ons het niemand laat bly lewe nie.^e **35** Ons het net die vee vir ons geneem, saam met die buit wat ons gevat het uit die stede wat ons ingeneem het. **36** Van A'roër af,^f wat aan die rand van die Arnon-vallei* is (insluitende die stad wat in die vallei is), tot by Gi'lead, was daar geen stad wat vir ons te sterk was nie. Jehovah ons God het hulle almal aan ons oorgegee.^g **37** Maar julle het nie naby die land van die Ammoniete,^h die hele Jabbok-vallei*ⁱ en die stede van die bergstreek gegaan nie, en ook nie na enige ander plek waar Jehovah ons God vir ons gesê het om nie te gaan nie.

3 “Daarna het ons met die pad van Basan gegaan. En Og, die koning van Basan, het met sy hele leërmag uitgekom om by Edre'î^j teen ons te veg. **2** Toe

2:37 *Of “wadi Jabbok”. Sien Woordelys.

het Jehovah vir my gesê: 'Moenie vir hom bang wees nie, want ek sal hom en sy hele volk en sy land in julle hand gee, en julle moet met hom doen net soos julle gedoen het met Sihon, die koning van die Amoriete, wat in Hesbon gewoon het.' **3** Toe het Jehovah ons God koning Og van Basan en sy hele volk ook in ons hand gegee, en ons het hulle verslaan. Daar was nie 'n enkele oorlewende nie. **4** Ons het toe al sy stede ingeneem. Daar was nie 'n enkele stad wat ons nie van hulle afgevat het nie - 60 stede, die hele Argobstreek, die koninkryk van Og in Basan.^a **5** Al hierdie stede was versterk met hoë mure, deure en grendels. Ons het ook 'n groot aantal plattelandse dorpe ingeneem. **6** Maar ons het hulle almal vernietig,^b net soos ons met koning Sihon van Hesbon gedoen het. Ons het elke stad vernietig, insluitende die mans, vrouens en kinders.^c **7** En ons het al die vee en die buit wat ons in die stede gevat het, vir ons geneem.

8 "Ons het in daardie tyd die land afgevat van die twee Amoritiese konings^d wat in die Jordaanstreek was, van die Arnon-vallei* af tot by die berg Hermon^e **9** (dit is die berg wat die Sidoniërs voorheen Sirjon en wat die Amoriete voorheen Senir genoem het), **10** al die stede van die plato, die hele Gi'lead en die hele Basan tot by Salka en Edre'i,^f die stede van die koninkryk wat aan Og in Basan behoort het. **11** Want koning Og van Basan was die laaste van die Refaïete. Sy lykbaar* was van yster^g gemaak, en dit

3:8, 12, 16 *Of "wadi Arnon". Sien Woordelys. **3:11** *Of "doodskis; sarkofaag". ^hOf moontlik "swart basalt".

HFST. 3

a Nu 32:33
De 29:7,8
Jos 13:29,30

b Le 27:29

c Le 18:25

d Nu 32:33

e Jos 12:1,2

f Nu 21:33

Tweede kol.

a Nu 32:34

b Nu 32:33

c Nu 32:39
Jos 13:29-31
1Kr 5:23

d 1Kr 2:22

e De 3:4

f Jos 13:13

g Nu 32:40,41

h Nu 32:39
Jos 17:1

i Nu 32:33
Jos 22:9

j Nu 34:11,12

k Nu 32:20-22

is nog steeds in Rabba van die Ammoniete. Dit is nege el* lank en vier el breed, volgens die standaard-el. **12** Ons het toe die land in besit geneem van A'roër^a af, wat by die Arnon-vallei* is, en die helfte van die bergstreek van Gi'lead, en ek het die stede aan die Rubeniete en die Gadiete gegee.^b **13** En ek het die res van Gi'lead en die hele Basan van die koninkryk van Og aan die halwe stam van Manas'se gegee.^c Die hele Argobstreek, wat deel is van Basan, het as die land van die Refaïete bekend gestaan.

14 "Jaïr,^d die seun van Manas'se, het die hele Argobstreek^e tot by die grens van die Gesuriete en die Maägatiëte^f geneem, en hy het daardie dorpie van Basan na homself vernoem, Hawwot-Jaïr.^g Die dorpie het vandag nog daardie naam. **15** En ek het Gi'lead aan Magir^h gegee. **16** En aan die Rubeniete en die Gadieteⁱ het ek die land gegee van Gi'lead af tot by die Arnon-vallei,* met die middel van die vallei as die grens, en van daar af tot by die Jabbok, die vallei wat die grens van die Ammoniete is, **17** en die A'raba en die Jordaanrivier en die aangrensende gebied, van Kinne'ret af tot by die See van die A'raba, die Soutsee,* aan die voet van Pisga in die ooste.^j

18 "Ek het toe hierdie bevel aan julle gegee: 'Jehovah julle God het hierdie land aan julle gegee om dit in besit te neem. Al julle dapper manne moet wapens opneem en voor julle broers, die Israëliete, oorgaan.^k **19** Net julle vrouens, julle kinders en julle vee (ek weet goed

3:11 *n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. **3:14** *Beteken "tentdorpe van Jaïr". **3:17** *Die Doorie See.

dat julle baie vee het) sal in die stede bly woon wat ek aan julle gegee het, **20** totdat Jehovah aan julle broers rus gee, net soos hy aan julle rus gegee het, en hulle ook die land in besit geneem het wat Jehovah julle God oorkant die Jordaanrivier aan hulle sal gee. Dan sal julle terugkom, elkeen na sy besitting wat ek aan julle gegee het.^a

21 "Ek het toe hierdie bevel aan Josua^b gegee: 'Jy het met jou eie oë gesien wat Jehovah jou God met hierdie twee kolonings gedoen het. Jehovah sal dieselfde doen met al die koninkryke wat jy aan die oorkant sal teëkom.^c **22** Julle moenie vir hulle bang wees nie, want Jehovah julle God veg vir julle.'^d

23 "Ek het toe by Jehovah gepleit en gesê: **24** 'O Soewereine Heer Jehovah, u het vir u kneg u grootheid en u magtige arm^e begin wys, want water god in die hemel of op die aarde kan sulke magtige dade doen soos u?'^f **25** Laat my asseblief oorgaan en die goeie land oorkant die Jordaanrivier sien, daardie goeie bergstreek en die Li'banon.'^g **26** Maar Jehovah was nog steeds woedend vir my as gevolg van julle,^h en hy wou nie na my luister nie. Jehovah het egter vir my gesê: 'Dit is nou genoeg! Moet nooit weer met my oor hierdie saak praat nie. **27** Klim op na die top van Pisgaⁱ en kyk na die weste en noorde en suide en ooste. Kyk goed na die land, want jy sal nie deur hierdie Jordaanrivier trek nie.^j **28** Stel Josua^k aan en moedig hom aan en versterk hom, want hy is die een wat voor hierdie volk sal deurtrek,^l en hy sal sorg dat hulle die land erf wat jy sal sien.' **29** Dit alles het gebeur terwyl ons in die vallei oorkant Bet-Peor^m gebly het.

HFST. 3

- a Jos 1:14, 15
 Jos 22:4, 8
 b Nu 11:28
 Nu 14:30
 Nu 27:18
 c Jos 10:25
 d Eks 14:14
 Eks 15:3
 De 1:30
 De 20:4
 Jos 10:42
 e Eks 15:16
 De 11:2
 f Eks 15:11
 2Sa 7:22
 1Kn 8:23
 Ps 86:8
 Jer 10:6, 7
 g Eks 3:8
 De 1:7
 De 11:11, 12
 h Nu 20:12
 Nu 27:13, 14
 De 4:21
 Ps 106:32
 i Nu 27:12
 j De 34:1, 4
 k Nu 27:18-20
 De 1:38
 De 31:7
 l Jos 1:1, 2
 m De 4:45, 46
 De 34:5, 6

Tweede kol.

HFST. 4

- a Le 18:5
 b De 12:32
 Spr 30:5, 6
 Op 22:18, 19
 c Nu 25:5, 9
 Ps 106:28
 Ho 9:10
 1Kon 10:7, 8
 d Le 26:46
 Nu 30:16
 Nu 36:13
 De 6:1
 e 1Kn 2:3
 f Ps 111:10
 g Ps 119:98, 100
 h 1Kn 4:34
 1Kn 10:4-7
 Da 1:19, 20
 i Eks 25:8
 Le 26:12
 De 5:26
 2Sa 7:23
 j Ps 147:19, 20
 k Ge 18:19
 De 6:6, 7

DEUTERONOMIUM 3:20-4:10

4 "Luister dan nou, o Israel, na die wetsvoorskrifte en die regterlike bevel wat ek julle leer om te gehoorsaam, sodat julle kan lewe^a en kan ingaan en die land in besit kan neem wat Jehovah, die God van julle voorvaders, aan julle gee. **2** Julle mag niks byvoeg by die woorde wat ek julle beveel nie, en julle mag ook niks daarvan wegneem nie,^b sodat julle die gebooi van Jehovah julle God kan gehoorsaam wat ek julle beveel.

3 "Julle eie oë het gesien wat Jehovah in die geval van die Baäl van Peor gedoen het: Jehovah julle God het elke man wat agter die Baäl van Peor^c aangeloop het, onder julle uitgeroei. **4** Maar julle wat getrou gebly het aan Jehovah julle God, lewe almal vandag nog. **5** Kyk, ek het vir julle wetsvoorskrifte en regterlike bevel geleer,^d net soos Jehovah my God my bevel het, sodat julle dit kan gehoorsaam in die land wat julle in besit gaan neem. **6** Julle moet streng daarby bly,^e want dan sal die volke wat van al hierdie wetsvoorskrifte hoor, sien dat julle wys^f en verstandig^g is, en hulle sal sê: 'Hierdie groot nasie is beslis 'n wyse en verstandige volk.'^h **7** Want watter groot nasie het gode wat so naby aan hulle is soos Jehovah ons God aan ons is wanneer ons hom aanroep?ⁱ **8** En watter groot nasie het regverdige wetsvoorskrifte en regterlike bevel soos hierdie hele Wet wat ek vandag vir julle gee?^j

9 "Maar wees versigtig en sorg dat julle nie die dinge vergeet wat julle oë gesien het nie en dat dit al die dae van julle lewe in julle hart bly. Julle moet dit ook vir julle kinders en vir julle kleinkinders leer.^k **10** Op die dag toe julle voor Jehovah

julle God in Horeb gestaan het, het Jehovah vir my gesê: 'Laat die volk voor my bymekaarkom sodat ek hulle my woorde kan laat hoor,^a sodat hulle kan leer om my te vrees^b al die dae dat hulle op die aarde lewe en sodat hulle hulle kinders kan leer.'^c

11 "Toe het julle nader gekom en aan die voet van die berg gaan staan, en die berg het gebrand met vuur wat tot in die hemel opgegaan het. Daar was duisternis en digte, donker wolke.^d **12** En Jehovah het uit die vuur met julle begin praat.^e Julle het die geluid van woorde gehoor, maar julle het niemand gesien nie^f – daar was net 'n stem.^g **13** En hy het sy verbond aan julle bekend gemaak,^h wat hy julle beveel het om na te kom – die Tien Gebooie.ⁱ Daarna het hy dit op twee kliptablette geskryf.^j **14** Jehovah het my toe beveel om vir julle wetsvoorskrifte en regterlike bevels te leer, wat julle moet gehoorsaam in die land waarheen julle gaan en wat julle in besit gaan neem.

15 "Op die dag toe Jehovah by Horeb uit die vuur met julle gepraat het, het julle niemand gesien nie. Daarom moet julle versigtig wees **16** dat julle nie goddeloos optree deur vir julle 'n beeld in die vorm van enigiets te maak nie – nie 'n beeld van 'n man of 'n vrou,^k **17** 'n beeld van enige dier op die aarde of 'n beeld van enige voël wat in die lug vlieg,^l **18** 'n beeld van enigiets wat op die aarde kruip of 'n beeld van enige vis wat in die waters op die aarde is nie.^m **19** En wanneer julle na die hemel opkyk en die son en die maan en die sterre sien – die hele leërmag van

4:13 *Lett. "die Tien Woorde". Ook die Dekaloog genoem.

HFST. 4

- a Eks 19:9
b Eks 20:20
De 5:29
c Spr 22:6
Ef 6:4
d Eks 19:18
Heb 12:18, 19
e De 9:10
f Jes 40:18
Joh 1:28
Joh 4:24
g Eks 20:22
h Eks 19:5
De 5:2
De 9:9
Heb 9:19, 20
i Eks 20:1
Eks 34:28
De 10:4
j Eks 24:12
Eks 31:18
Eks 32:19
Eks 34:1
k Eks 20:4
De 27:15
Jes 40:18
Han 17:29
1Kor 10:14
l De 5:8
Ro 1:22, 23
m 1Sa 5:4

Tweede kol.

- a De 17:2, 3
2Kn 17:16
Ese 8:16
b Eks 19:5
c Ps 106:32
d Nu 20:12
De 31:1, 2
e De 3:27
f Eks 24:3
g Eks 20:4
h Eks 24:17
De 9:3
Heb 12:29
i Eks 20:5
Eks 34:14
Nu 25:11
Lu 10:27
j Rig 18:30
2Kn 21:1, 7
k 2Kn 17:16, 17
l Le 18:24, 28
Le 26:27, 32
m De 28:64
Ne 1:8

die hemel – moet julle nie verlei word en voor hulle neerbuig en hulle dien nie.^a Jehovah julle God het dit aan al die volke onder die hemel gegee. **20** Maar Jehovah het julle uit die yster-smeltoond, uit Egipte, geneem om sy volk, sy persoonlike besitting,^{*b} te word, soos julle vandag is.

21 "Jehovah het vir my kwaad geword as gevolg van julle,^c en hy het gesweer dat ek nie deur die Jordaanrivier sal trek of in die goeie land sal ingaan wat Jehovah julle God aan julle as 'n erfdeel gee nie.^d **22** Want ek gaan in hierdie land sterf. Ek sal nie deur die Jordaanrivier trek nie,^e maar julle sal oorgaan en hierdie goeie land in besit neem. **23** Wees versigtig dat julle nie die verbond vergeet wat Jehovah julle God met julle gemaak het nie,^f en moenie vir julle enige beeld maak in die vorm van enigiets wat deur Jehovah julle God verbied is nie.^g **24** Want Jehovah julle God is 'n verterende vuur,^h 'n God wat uitsluitlike toegewydeheid vereis.ⁱ

25 "As julle kinders en klein-kinders het en lank in die land gewoon het en julle dan goddeloos optree deur enige soort beeld te maak^j en deur te doen wat sleg is in die oë van Jehovah julle God en hom aanstoot gee,^k **26** dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuiens teen julle dat julle beslis vinnig uit die land sal verdwyn wat julle in besit gaan neem nadat julle deur die Jordaanrivier getrek het. Julle sal nie lank in die land woon nie. Julle sal heeltemal vernietig word.^l **27** Jehovah sal julle onder die volke verstrooi,^m en net 'n paar van

4:20 *Of "sy erfdeel".

julle sal bly lewe^a onder die nasies waarheen Jehovah julle sal verdryf. **28** Daar sal julle gode van hout en klip moet dien wat deur mensehande gemaak is,^b gode wat nie kan sien of hoor of eet of ruik nie.

29 "As julle Jehovah julle God van daar af soek, as julle met julle hele hart en julle hele siel* na hom soek,^c sal julle hom beslis ook vind.^d **30** Wanneer julle in die toekoms baie swaarkry en al hierdie dinge met julle gebeur het, sal julle tot Jehovah julle God terugkeer en na sy stem luister.^e **31** Want Jehovah julle God is 'n genadige God.^f Hy sal julle nie in die steek laat of julle vernietig of die verbond vergeet wat hy deur middel van 'n eed met julle voorvaders gemaak het nie.^g

32 "Vra nou asseblief hoe dit vroeër was, voor julle tyd, van die dag af dat God die mens op die aarde geskep het. Soek van die een einde van die hemel tot by die ander einde van die hemel. Het iets wat so wonderlik is al ooit gebeur? Of is daar al ooit van so iets gehoor?^h **33** Het enige ander volk die stem van God uit die vuur hoor praat, soos julle dit gehoor het, en bly lewe?ⁱ **34** Of het God al ooit probeer om vir hom 'n nasie onder 'n ander nasie uit te neem met oordele,* tekens, wonderwerke,^j oorlog,^k 'n magtige hand,^l 'n uitgestrekte arm en skrikwekkende dade,^m soos Jehovah julle God vir julle voor julle oë in Egipte gedoen het? **35** Julle het hierdie dinge gesien sodat julle kan weet dat Jehovah die ware God is.ⁿ Daar is geen ander God nie.^o **36** Hy het julle sy stem uit die hemel

4:29 *Sien Woordelys. 4:34 *Of "beproewing".

HFST. 4

- a De 28:62
b De 28:15, 36
Jer 16:13
Ese 20:39
c De 30:1-3
De 30:8-10
1Kn 8:48, 49
Jer 29:13
Jl 2:12
d 2Kr 15:4, 15
e 2Kr 33:13
Ne 1:9
f Eks 34:6
De 30:3
2Kr 30:9
Ne 9:31
Jes 54:7
Jes 55:7
g Le 26:42
h Ps 44:1
i De 5:26
j Eks 7:3
k Eks 15:3
l Eks 13:3
m De 26:8
Ps 78:43-51
n Eks 6:7
o Eks 15:11
De 32:39
1Sa 2:2
Jes 45:18
Mr 12:32

Tweede kol.

- a Eks 19:18
Eks 20:22
b De 10:15
Ps 105:6
c Eks 23:28
De 7:1
De 9:1
Jos 3:10
d 2Kr 20:6
e Jes 44:6
f Ge 48:3, 4
g Nu 35:14
h Nu 35:22-24
i Nu 35:11, 25
De 19:4, 5
j Jos 21:8, 36
k Jos 21:8, 38
l Jos 21:27
m Jos 20:8, 9
n De 17:18
De 27:2, 3
Ga 3:24
o Le 26:46
De 4:1
p De 1:5
De 3:29

laat hoor om julle reg te help, en op die aarde het hy julle sy groot vuur laat sien, en julle het sy woorde uit die vuur gehoor.^a

37 "Omdat hy julle voorvaders liefgehad het en hulle nageslag" uitgekies het,^b het hy julle self deur middel van sy groot krag uit Egipte uitgelei. **38** Hy het nasies voor julle uitgedryf wat groter en magtiger is as julle, om julle in hulle land in te bring en dit as 'n erfdeel aan julle te gee, soos vandag die geval is.^c **39** Daarom moet julle vandag weet en ter harte neem dat Jehovah die ware God is in die hemel daar bo en op die aarde hier onder.^d Daar is geen ander nie.^e **40** Julle moet sy wetsvoorskrifte en sy gebooe gehoorsaam wat ek julle vandag beveel, sodat dit met julle en julle kinders goed kan gaan, en sodat julle lank in die land kan bly wat Jehovah julle God aan julle gee."^f

41 Toe het Moses drie stede oos van die Jordaanrivier^g uitgekies. **42** As enigiemand sy medemens onopsetlik doodmaak en hy hom nie voorheen gehaat het nie,^h moet hy na een van hierdie stede vlug en bly lewe.ⁱ **43** Die stede is Beser^j in die wildernis op die plato vir die Rubeniëte, Ramot^k in Gi'lead vir die Gadiëte en Golan^l in Basan vir die Manassiete.^m

44 En dit is die Wetⁿ wat Moses aan die Israëliëte gegee het. **45** Dit is die herinneringe, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevele wat Moses aan die Israëliëte gegee het nadat hulle uit Egipte gekom het.^o **46** Hy het dit gedoen in die Jordaanstreek, in die vallei oorkant Bet-Peor,^p in die land van koning Sihon van die Amoriete, wat in

4:37 *Lett. "saad".

Hesbon^a gewoon het, wat deur Moses en die Israeliete verstaan is nadat hulle uit Egipte gekom het.^b **47** En hulle het sy land en die land van koning Og^c van Basan in besit geneem, die twee konings van die Amoriete wat in die streek oos van die Jordaanrivier was, **48** van A'roër af,^d wat aan die rand van die Arnon-vallei* is, tot by die berg Sijon, dit wil sê Hermon,^e **49** en die hele A'raba in die streek oos van die Jordaanrivier en tot by die See van die A'raba,* aan die voet van Pisga.^f

5 Moses het toe die hele Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Hoor, o Israel, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevels wat ek vandag aan julle bekend maak, en julle moet dit leer en presies doen wat dit sê. **2** Jehovah ons God het by Horeb 'n verbond met ons gemaak.^g **3** Jehovah het nie hierdie verbond met ons voorvaders gemaak nie, maar met ons, ons almal wat vandag lewe en hier bymekaar is. **4** Op die berg het Jehovah direk met julle uit die vuur gepraat.^h **5** By daardie geleentheid het ek tussen julle en Jehovah gestaan om Jehovah se woorde aan julle oor te dra, want julle was bang vir die vuur en het nie teen die berg/ opgeklim nie. Hy het gesê:

6 "Ek is Jehovah julle God wat julle uit Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei het.^k **7** Jy mag geen ander gode buiten my* hê nie.^l

8 "Jy mag nie vir jou 'n beeld^m of 'n afbeelding* maak van enigiets wat bo in die hemel,

4:48 *Of "wadi Arnon". Sien Woordelys. **4:49** *Ook die Soutsee of die Dooie See genoem. **5:7** *Of "in verset teen my". Lett. "teen my aangesig". **5:8** *Of "vorm".

HFST. 4

- a Nu 21:26
b Nu 21:23, 24
c Nu 21:33
De 3:4
d De 2:36
De 3:12
e De 3:8, 9
f De 3:16, 17
De 34:1

HFST. 5

- g Eks 19:5
Heb 9:19, 20
h Eks 19:9, 18
Han 7:38
i Eks 20:19
Ga 3:19
j Eks 19:16
k Eks 13:3
Eks 20:2
l Eks 20:3-6
2Kn 17:35
m Le 26:1
De 4:15, 16
De 4:23
De 27:15
Han 17:29

Tweede kol.

- a Eks 23:24
1Kor 10:14
b Eks 34:14
De 4:24
Jes 42:8
Mt 4:10
c Eks 34:6, 7
d Eks 22:28
Le 19:12
e Eks 20:7
Le 24:16
f Eks 16:23
Eks 20:8-10
Eks 31:13
g Eks 34:21
h Eks 16:29
i Ne 13:15
j Eks 23:12
k De 10:17
Ef 6:9
l Eks 6:6
De 4:34
m Eks 21:15
Le 19:3
De 27:16
Spr 1:8
Mr 7:10

onder op die aarde of in die waters op die aarde is nie. **9** Jy mag nie voor hulle neerbuig of verlok word om hulle te dien nie,^a want ek, Jehovah jou God, is 'n God wat uitsluitlike toegewydheid vereis,^b wat straf vir die oortreding van vaders oor kinders bring, oor die derde geslag en oor die vierde geslag van dié wat my haat,^c **10** maar wat lojale liefde* betoon aan die duisendste geslag van dié wat my liefhet en my gebooië gehoorzaam.

11 "Jy mag nie die naam van Jehovah jou God op 'n disrespekvolle manier gebruik nie,^d want Jehovah sal niemand ongestraf laat bly wat sy naam op 'n disrespekvolle manier gebruik nie.^e

12 "Hou die Sabbatdag sodat dit heilig sal bly, net soos Jehovah jou God jou beveel het.^f **13** Jy het ses dae om te werk en om alles te doen wat jy moet,^g **14** maar die sewende dag is 'n sabbat vir Jehovah jou God.^h Jy mag geen werk doen nie,ⁱ nie jy of jou seun of jou dogter of jou slaaf of jou slavin of jou bul of jou donkie of enige van jou vee of die uitlander wat in julle stede* woon nie,^j sodat jou slaaf en jou slavin kan rus net soos jy.^k **15** Onthou dat julle slawe in Egipte geword het en dat Jehovah julle God julle met 'n magtige hand en 'n uitgestrekte arm daar uitgelei het.^l Daarom het Jehovah julle God julle beveel om die Sabbatdag te hou.

16 "Eer* jou pa en jou ma,^m net soos Jehovah jou God jou beveel het, sodat jy lank kan lewe en sodat dit met jou goed

5:10 *Of "liefderyke goedhartigheid". **5:14** *Lett. "poorte". **5:16** *Of "Respekteer".

kan gaan* in die land wat Jehovah jou God aan julle gee.^a

17 “Jy mag nie moord pleeg nie.^b

18 “Jy mag ook nie egbreuk pleeg nie.^c

19 “Jy mag ook nie steel nie.^d

20 “Jy mag ook nie valslik getuig teen jou medemens nie.^e

21 “Jy mag ook nie jou medemens se vrou begeer nie.^f Jy mag ook nie jou medemens se huis of sy landery of sy slaaf of sy slavin of sy bul of sy donkie of enigiets wat aan jou medemens behoort, selfsugtig begeer nie.^g

22 “Jehovah het op die berg hierdie gebooi* met 'n harde stem aan julle almal oorgedra, uit die vuur en uit die digte, donker wolk,^h en hy het niks bygevoeg nie. Daarna het hy dit op twee kliptablette geskryf en dit aan my gegee.ⁱ

23 “Maar die oomblik toe julle die stem uit die duisternis hoor, terwyl die berg met vuur gebrand het,^j het al die hoofde van julle stamme en die ouermanne na my toe gekom.

24 Toe het julle gesê: ‘Jehovah ons God het ons sy heerlikheid en sy grootheid gewys, en ons het sy stem uit die vuur^k gehoor. Vandag het ons gesien dat die mens kan bly lewe nadat God met hom gepraat het.^l **25** Maar hoekom moet ons sterf? Want hierdie groot vuur kan ons verteer. As ons die stem van Jehovah ons God nog langer hoor, sal ons beslis sterf. **26** Want wie is daar uit die hele mensdom wat soos ons die stem van die lewende God uit die vuur hoor praat het en tog bly lewe het? **27** Gaan jy nader om alles

5:16 *Of “sodat jy voorspoedig kan wees”. 5:22 *Lett. “woorde”.

HFST. 5

- a Eks 20:12
Ef 6:2, 3
b Ge 9:6
Eks 20:13
Nu 35:20, 21
Mt 5:21
Ro 13:9
c Eks 20:14
1Kor 6:18
Heb 13:4
d Eks 20:15
Le 19:11
Spr 30:8, 9
1Kor 6:10
Ef 4:28
e Eks 20:16
Eks 23:1
Le 19:16
De 19:16-19
Spr 6:16, 19
Spr 19:5
f Mt 5:28
g Eks 20:17
Lu 12:15
Ro 7:7
h Eks 19:9, 18
i Eks 24:12
Eks 31:18
De 4:12, 13
j Eks 20:18
Heb 12:18, 19
k Eks 24:17
l De 4:33, 36

Tweede kol.

- a Eks 20:19
Heb 12:18, 19
b De 18:16, 17
c De 10:12
Job 28:28
Spr 1:7
Mt 10:28
1Pe 2:17
d Spr 4:4
Spr 7:2
Pr 12:13
Jes 48:18
1Jo 5:3
e Ps 19:8, 11
Jak 1:25
f De 6:3, 25
De 8:1
g De 12:32
Jos 1:7, 8
h De 10:12
i De 4:40
De 12:28
Ro 10:5

HFST. 6

- j Ge 18:19
De 4:9
k Spr 3:1, 2

DEUTERONOMIUM 5:17-6:3

te hoor wat Jehovah ons God sal sê, en jy moet vir ons alles vertel wat Jehovah ons God vir jou sê, en ons sal luister en dit doen.^a

28 “En Jehovah het gehoor wat julle vir my gesê het, en Jehovah het vir my gesê: ‘Ek het gehoor wat hierdie volk vir jou gesê het. Alles wat hulle gesê het, is goed.^b **29** As hulle maar net altyd 'n hart sal hê wat my vrees^c en al my gebooi* gehoorsaam,^d dan sal dit vir ewig met hulle en hulle kinders goed gaan!^e **30** Gaan sê vir hulle: “Keer terug na julle tente.”

31 Maar jy moet hier by my bly, en laat ek al die gebooi*, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevels aan jou gee wat jy vir hulle moet leer en wat hulle moet gehoorsaam in die land wat ek aan hulle gee om in besit te neem.^f **32** En julle moet sorg dat julle presies doen wat Jehovah julle God julle beveel het.^g Julle mag nie links of regs afwyk nie.^h **33** Julle moet in alles die weg volg wat Jehovah julle God julle beveel het om te volg,^h sodat julle kan lewe en sodat dit met julle goed kan gaan en julle lank sal woon in die land wat julle in besit gaan neem.ⁱ

6 “Hier is die gebooi*, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevels wat Jehovah julle God gegee het om julle te leer, sodat julle dit kan gehoorsaam wanneer julle in die land ingaan wat julle in besit gaan neem **2** en sodat julle Jehovah julle God kan vrees en al sy wetsbepalings en sy gebooi* kan gehoorsaam wat ek julle beveel – julle en julle kinders en julle kleinkinders^j – al die dae van julle lewe, sodat julle lank kan lewe.^k **3** En julle moet luister, o Israel, en presies doen wat dit sê, sodat dit met julle goed kan

gaan en julle baie kan word in die land wat oorloop van melk en heuning, net soos Jehovah, die God van julle voorvaders, julle belowe het.

4 "Luister, o Israel: Jehovah ons God is een Jehovah.^a **5** Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel^b en al jou krag.^c **6** Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees, **7** en jy moet dit vir jou kinders herhaal^d en daarvoor praat wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op die pad loop en wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan.^e **8** Bind dit as 'n herinnering op jou hand, en dit moet soos 'n band op jou voorkop^f wees.^f **9** Skryf dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte.

10 "Wanneer Jehovah julle God julle in die land inbring wat hy aan julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob gesweer het hy aan julle sal gee^g – groot en mooi stede wat julle nie gebou het nie,^h **11** huise vol allerhande goeie dinge waarvoor julle nie gewerk het nie, uitgekapte reënputte wat julle nie gegrawe het nie en wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie – en julle geëet en versadig geword het,ⁱ **12** moet julle versigtig wees dat julle Jehovah nie vergeet,^j wat julle uit Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei het nie. **13** Julle moet Jehovah julle God vrees.^k Julle moet hom dien,^l en julle moet by sy naam sweer.^m **14** Julle mag nie agter ander gode aanloop nie, agter enige van die gode van die volke wat rondom julle is nie,ⁿ

6:5 *Sien Woordelys. ^aOf "lewens-krag; middele". **6:7** *Of "by jou kinders inskryf; op jou kinders se hart graveer". **6:8** *Lett. "tussen jou oë".

HFST. 6

a De 5:7
Jes 42:8
Sag 14:9
Mr 12:29, 32
1Kor 8:6

b De 10:12
De 11:13
De 30:6
Mt 22:37

c Mr 12:30, 33
Lu 10:27

d Ge 18:19
De 4:9
Spr 22:6
Ef 6:4

e De 11:19

f De 11:18

g Ge 15:18

h Jos 24:13
Ps 105:44

i De 8:10

j Rig 3:7

k De 10:12
De 13:4

l Lu 4:8

m Jer 12:16

n Eks 34:14

Tweede kol.

a Eks 20:5
De 4:24

b Eks 32:9, 10
Nu 25:3
De 11:16, 17
Rig 2:14

c 2Kn 17:18

d Mt 4:7
Lu 4:12
1Kor 10:9

e Eks 17:2, 7
Ps 95:8, 9
Heb 3:8, 9

f Ge 15:18

g Eks 23:30

h Eks 7:3

i De 4:34

j Eks 13:5
De 1:8

k Ps 111:10
Spr 14:27

l Le 18:5
De 4:1
Ga 3:12

15 want Jehovah julle God, wat by julle is, is 'n God wat uitsluitlike toegewydheid vereis.^a Anders sal Jehovah julle God woedend word vir julle,^b en hy sal julle van die aarde af uitwis.^c

16 "Julle mag Jehovah julle God nie toets^d soos julle hom by Massa^e getoets het nie. **17** Julle moet die gebooi van Jehovah julle God en sy herinneringe en sy wetsvoorskrifte wat hy julle beveel het, streng gehoorsaam. **18** Julle moet doen wat reg en goed is in Jehovah se oë, sodat dit met julle goed kan gaan en sodat julle kan ingaan in die goeie land wat Jehovah aan julle voorvaders met 'n eed belowe het en dit in besit kan neem^f **19** deur al julle vyande voor julle te verdryf, net soos Jehovah belowe het.^g

20 "Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: 'Wat beteken die herinneringe en die wetsvoorskrifte en die regterlike bevel wat Jehovah ons God julle beveel het?' **21** dan moet jy vir jou seun sê: 'Ons het slawe van Farao in Egipte geword, maar Jehovah het ons met 'n magtige hand uit Egipte uitgelei. **22** En Jehovah het aangehou om voor ons oë groot en verwoestende tekens en wonderwerke oor Egipte,^h oor Farao en oor sy hele huis te bring.ⁱ **23** En hy het ons daar uitgelei om ons hierheen te bring sodat hy die land aan ons kan gee wat hy aan ons voorvaders met 'n eed belowe het.^j **24** Toe het Jehovah ons beveel om al hierdie wetsvoorskrifte te gehoorsaam en om Jehovah ons God te vrees sodat dit altyd met ons goed kan gaan^k en sodat ons kan bly lewe,^l soos vandag die geval is. **25** En ons sal as regverdig beskou word as ons sorg dat ons al hierdie gebooi voor Jehovah

ons God gehoorsaam, net soos hy ons beveel het.^a

7 “Wanneer Jehovah julle God julle in die land inbring waarheen julle op pad is en wat julle in besit sal neem,^b sal hy groot nasies voor julle uit verdryf:^c die Hetiete, die Girgasiete, die Amoriete,^d die Kanaäniete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete,^e sewe nasies wat groter en magtiger is as julle.^f **2** Jehovah julle God sal hulle aan julle oorgee, en julle sal hulle verslaan.^g Julle moet hulle vir seker vernietig.^h Julle mag geen verbond met hulle maak nie, en julle mag glad nie vir hulle jammer voel nie.ⁱ **3** Julle mag nie met hulle trou nie.* Moenie julle dogters aan hulle seuns gee of hulle dogters vir julle seuns neem nie.^j **4** Want hulle sal maak dat julle seuns my verlaat en ander gode dien.^k Dan sal Jehovah vir julle woedend word, en hy sal julle gou vernietig.^l

5 “Julle moet eerder só met hulle maak: Breek hulle altare af, breek hulle heilige pilare stukkend,^m kap hulle heilige pale* afⁿ en verbrand hulle beelde.^o **6** Want julle is ’n heilige volk vir Jehovah julle God, en Jehovah julle God het julle uitgekies om sy volk te word, sy spesiale eiendom,* uit al die volke wat op die oppervlak van die aarde is.^p

7 “Dit was nie omdat julle die grootste van al die volke was dat Jehovah liefde aan julle betoon het en julle uitgekies het nie,^q want julle was die kleinste van al die volke.^r **8** Maar dit was omdat Jehovah julle liefgehad het en getrou gebly het aan

7:3 *Of “nie huweliksverbintenis met hulle aangaan nie”. 7:5 *Sien Woordelys. 7:6 *Of “kosbare besitting”.

HFST. 6

a Pr 12:13
Ro 10:5

HFST. 7

b De 31:3

c Eks 33:2
Jos 3:10

d Ge 15:16

e Ge 10:15-17

f De 20:1

g Nu 33:52

h Le 27:29
Jos 6:17
Jos 10:28

i Eks 23:32
Eks 34:15
De 20:16, 17

j Jos 23:12, 13
1Kn 11:1, 2
Esr 9:2

k Eks 34:16
1Kn 11:4

l De 6:14, 15

m Eks 23:24
Eks 34:13

n De 16:21, 22

o De 7:25
De 12:2, 3

p Eks 19:5, 6
De 14:2
Am 3:2

q De 10:15

r De 10:22

Tweede kol.

a Ge 22:16, 17

b Eks 6:6
Eks 13:3, 14

c Eks 34:6, 7

d Spr 2:22
2Pe 3:7

e Le 26:9

f Le 26:4

g Ge 13:14, 15

h De 33:29
Ps 147:20

i Eks 23:26
De 28:11
Ps 127:3

die eed wat hy aan julle voorvaders gesweer het.^a Daarom het Jehovah julle met ’n magtige hand uitgelei, om julle te verlos uit die huis van slawerny,^b uit die greep* van Farao, die koning van Egipte. **9** Julle weet goed dat Jehovah julle God die ware God is, die getroue God, wat sy verbond hou en lojale liefde betoon aan ’n duisend geslagte van dié wat hom liefhet en sy gebooië gehoorsaam.^c **10** Maar hy sal diegene wat hom haat, terugbetaal deur hulle te vernietig.^d Hy sal sonder huiwering afreken met dié wat hom haat. Hy sal hulle openlik terugbetaal. **11** Daarom moet julle sorg dat julle die gebooië en die wetsvoorskrifte en die regterlike bevele wat ek julle vandag beveel, gehoorsaam deur dit na te kom.

12 “As julle na hierdie regterlike bevele bly luister en dit gehoorsaam en dit uitvoer, sal Jehovah julle God die verbond hou en die lojale liefde betoon wat hy aan julle voorvaders met ’n eed belowe het. **13** Hy sal julle liefhê en julle seën en julle laat vermeerder. Ja, hy sal julle seën met baie kinders*^e en met die opbrengs van julle grond, julle graan, julle nuwe wyn, julle olie,^f die kalwers van julle troppe en die lamms van julle kuddes, in die land wat hy aan julle voorvaders met ’n eed belowe het om aan julle te gee.^g **14** Julle sal die geseëndste van al die volke word.^h Geen man of vrou onder julle sal kinderloos wees nie, en julle vee sal nie sonder kleintjies wees nie.ⁱ **15** Jehovah sal alle siekte van julle verwyder, en hy sal nie enige van die verskriklike siektes oor julle laat kom wat julle

7:8 *Lett. “hand”. 7:13 *Lett. “hy sal die vrug van jou baarmoeder seën”.

in Egipte geken het nie.^a Hy sal dit eerder laat kom oor almal wat julle haat. **16** Julle moet al die volke vernietig* wat Jehovah julle God aan julle oorgee.^b Julle[#] mag nie vir hulle jammer voel nie,^c en julle mag nie hulle gode dien nie,^d want dit sal vir julle 'n strik wees.^e

17 "As julle in julle hart sê: 'Hierdie nasies is baie meer as ons. Hoe sal ons hulle kan verdryf?'^f **18** dan moet julle nie vir hulle bang wees nie.^g Julle moet terugdink aan wat Jehovah julle God aan Faraon en die hele Egipte gedoen het,^h **19** die groot oordele* wat julle oë gesien het, en die tekens en die wonderwerkeⁱ en die magtige hand en die uitgestrekte arm waarmee Jehovah julle God julle uitgelei het.^j Dit is wat Jehovah julle God sal doen aan al die volke vir wie julle bang is.^k **20** Jehovah julle God sal 'n gevoel van hopeloosheid* oor hulle bring totdat dié wat nog oor is^l en wat vir julle wegkruip, sterf. **21** Moenie vir hulle bang wees nie, want Jehovah julle God is met julle,^m 'n groot en ontsagwekkende God.ⁿ

22 "Jehovah julle God sal hierdie nasies bietjie vir bietjie voor julle uit verdryf.^o Julle sal nie toegelaat word om binne 'n kort tydjie 'n einde aan hulle te maak nie, sodat die wilde diere van die veld nie sal vermeerder en vir julle 'n gevaar sal word nie. **23** Jehovah julle God sal hulle aan julle oorlewer en hulle heeltemal verslaan totdat hulle vernietig is.^p **24** Hy sal hulle konings in julle hand gee,^q en julle sal hulle naam onder die hemel uitwis.^r Niemand sal teen julle staande kan bly nie.^s Jul-

7:16 *Lett. "verslind". #Lett. "Jou oog". 7:19 *Of "beproevinge". 7:20 *Of moontlik "paniek; vrees".

HFST. 7

- a De 28:15, 27
b De 7:1, 2
De 20:16
Jos 10:28
c Ge 15:16
Le 18:25
De 9:5
d Eks 20:3
e Eks 23:33
De 12:30
Rig 2:2, 3
Ps 106:36
f Nu 13:31
g De 1:29
De 31:6
Ps 27:1
Jos 41:10
h Eks 14:13
i Ne 9:10, 11
Jer 32:20
j De 4:34
k Eks 23:28
Jos 3:10
l Eks 23:29
De 2:25
Jos 2:9
Jos 24:12
m Nu 14:9
n De 10:17
1Sa 4:7, 8
o Eks 23:30
p De 9:3
q Jos 10:24
Jos 12:1
r Eks 17:14
Ps 9:5
s De 11:25
Jos 1:5
Ro 8:31

Tweede kol.

- a Jos 11:14
b De 12:3
1Kr 14:12
c Jes 30:22
d De 27:15

HFST. 8

- e Spr 3:1, 2
f Ge 15:18
g De 2:7
h Eks 16:4
Eks 20:20
i De 13:3
Spr 17:3
j Eks 16:3
k Eks 16:31
Ps 78:24
l Mt 4:4
m De 29:5
Ne 9:21
n Spr 3:12
1Kor 11:32
Heb 12:5-7
Op 3:19

le sal hulle vernietig.^a **25** Julle moet die beelde van hulle gode met vuur verbrand.^b Moenie die silwer en die goud wat daaraan is, begeer of dit vir julle neem nie,^c sodat julle nie daardeur verstrikt word nie, want dit is iets afskuweliks vir Jehovah julle God.^d **26** Julle mag niks afskuweliks in julle huis inbring en sodoende ook iets word wat vernietig moet word.

8 "Julle moet sorg dat julle elke gebod gehoorsaam wat ek julle vandag gee, sodat julle kan bly lewe^e en kan vermeerder en kan ingaan en die land in besit kan neem wat Jehovah aan julle voorvaders met 'n eed belowe het.^f **2** Dink aan die lang pad waarlangs Jehovah julle God julle hierdie 40 jaar in die wildernis laat loop^g het om julle nederigheid te leer en om julle te toets^h sodat hy kan weet wat in julle hart is,ⁱ of julle sy gebooe sal gehoorsaam of nie. **3** En hy het julle nederigheid geleer en julle laat honger ly^j en julle met die manna gevoed,^k wat nie julle of julle vaders geken het nie, om julle te leer dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens van elke woord uit Jehovah se mond lewe.^l **4** Gedurende hierdie 40 jaar het die kleren wat julle gedra het, nie stukkend geword nie, en julle voete het ook nie geswel nie.^m **5** Julle weet goed in julle hart dat Jehovah julle God julle gedissiplineer het net soos 'n man sy seun dissiplineer.ⁿ

6 "En julle moet die gebooe van Jehovah julle God gehoorsaam deur sy weë te volg en hom te vrees. **7** Want Jehovah julle God bring julle in 'n

goeie land,^a 'n land van waterstrome en fonteine* wat in die valleivlaktes en in die bergstreek vloei, **8** 'n land van koring en gars, van wingerdstokke, vyebome en granate,^b 'n land van olyfolie en heuning,^c **9** 'n land waar kos nie skaars sal wees nie en waar julle niks sal kortkom nie, 'n land waar die klippe yster bevat en waar julle koper uit die berge sal myn.

10 "Wanneer julle geëet en versadig geword het, moet julle Jehovah julle God loof vir die goeie land wat hy aan julle gee het.^d **11** Wees versigtig dat julle nie Jehovah julle God vergeet deur ongehoorsaam te wees aan sy gebooi, sy regterlike bevel en sy wetsbepalings wat ek julle vandag beveel nie. **12** Wanneer julle eet en versadig word en gerieflike huise bou en daarin woon^e **13** en julle beeste en kleinvee vermeerder en julle al hoe meer silwer en goud verkry en 'n oorfloed van alles het, **14** moet julle nie toelaat dat julle hart trots word^f en dat dit julle van Jehovah julle God laat vergeet nie. Hy het julle uit Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei^g **15** en julle deur die groot en verskriklike wildernis^h laat gaan, met giftige slange en skerpioene en dore grond sonder water. Hy het water uit die rots* laat vloeiⁱ **16** en julle in die wildernis met manna gevoed,^j wat julle vaders nie geken het nie, om julle nederigheid te leer^k en om julle te toets, sodat dit in die toekoms met julle goed kan gaan.^l **17** As julle in julle hart sou sê: 'Dit is my eie krag en die mag van my eie hand wat my hierdie rykdom laat verkry het,^m **18** moet julle onthou dat dit

8:7 *Of "fonteine en diep waterbronne". 8:15 *Lett. "vuurkliprots".

HFST. 8

a Eks 3:8
Le 26:4
De 11:11, 12

b Nu 13:23

c Ese 20:6

d De 6:10-12

e Ho 13:6

f De 9:4
De 32:15

g Ps 106:21

h De 1:19
Jer 2:6

i Nu 20:11

j Eks 16:35

k De 8:2

l Heb 12:11

m Ho 12:8

Tweede kol.

a Ps 127:1
Ho 2:8

b De 7:12

c De 4:25, 26
De 30:17, 18
Jos 23:12, 13

d Da 9:11, 12

HFST. 9

e Jos 4:19

f De 7:1

g Nu 13:28

h Nu 13:33

i De 1:30
De 20:4
De 31:3

j De 4:24
Heb 12:29

k Eks 23:31
De 7:23, 24

l De 7:7, 8
Ese 36:22

m Ge 15:16
De 12:31
De 18:9, 12

DEUTERONOMIUM 8:8-9:5

Jehovah julle God is wat julle krag gee om rykdom te verkry.^a Hy doen dit sodat hy sy verbond kan nakom wat hy met 'n eed aan julle voorvaders belowe het, soos hy tot vandag toe gedoen het.^b

19 "As julle Jehovah julle God ooit vergeet en agter ander gode aanloop en hulle dien en voor hulle neerbuig, getuig ek vandag teen julle dat julle vir seker vernietig sal word.^c **20** Soos die nasies wat Jehovah voor julle vernietig, so sal julle vernietig word omdat julle nie na die stem van Jehovah julle God geluister het nie.^d

9 "Hoor, o Israel: Vandag trek julle deur die Jordaanrivier^e om 'n land in besit te neem met nasies wat groter en magtiger is as julle,^f met groot stede wat tot aan die hemel versterk is,^g **2** met 'n volk wat groot en lank is, die kinders van die Enakiete,^h van wie julle gehoor het en van wie daar gesê word: 'Wie kan teen die kinders van Enak staande bly?' **3** Weet dus vandag dat Jehovah julle God voor julle uit sal gaan.ⁱ Hy is 'n vertrende vuur,^j en hy sal hulle vernietig. Hy sal hulle voor julle oë onderwerp sodat julle hulle vinning kan verdryf en vernietig, net soos Jehovah julle belowe het.^k

4 "Wanneer Jehovah julle God hulle voor julle verdryf, moet julle nie in julle hart sê: 'Dit is weens my regverdigheid dat Jehovah my in hierdie land ingebring het om dit in besit te neem' nie.^l Dit is eerder weens die goddeloosheid van hierdie nasies^m dat Jehovah hulle voor julle uit verdryf. **5** Dit is nie weens julle regverdigheid of weens die opregtheid van julle hart dat julle ingaan om hulle

9:1 *D.w.s. met mure wat baie hoog is.

land in besit te neem nie. Dit is eerder weens die goddeloosheid van hierdie nasies dat Jehovah julle God hulle voor julle uit verdryf^a en om die belofte na te kom wat Jehovah aan julle voorvaders, Abraham,^b Isak^c en Jakob,^d gemaak het. **6** Weet dus dat dit nie weens julle regverdigheid is dat Jehovah julle God hierdie goeie land aan julle gee om in besit te neem nie, want julle is 'n hardkoppige volk.^e

7 "Onthou hoe julle Jehovah julle God in die wildernis kwaad gemaak het,^f en moet dit nooit vergeet nie. Van die dag af dat julle uit Egipte getrek het tot dat julle by hierdie plek gekom het, het julle teen Jehovah in opstand gekom.^g **8** Sels by Horeb het julle Jehovah kwaad gemaak. Jehovah was so kwaad vir julle dat hy op die punt was om julle te vernietig.^h **9** Toe ek teen die berg opgeklim het om die kliptabletteⁱ te ontvang, die tablette van die verbond wat Jehovah met julle gemaak het,^j het ek 40 dae en 40 nagte op die berg gebly^k en niks geëet of gedrink nie. **10** Toe het Jehovah vir my die twee kliptablette gegee waarop die vinger van God geskryf het. Al die woorde wat Jehovah op die berg uit die vuur vir julle gesê het op die dag toe julle* vergader het, was daarop geskryf.^l **11** Aan die einde van die 40 dae en 40 nagte het Jehovah vir my die twee kliptablette gegee, die tablette van die verbond, **12** en Jehovah het vir my gesê: 'Staan op, gaan gou af teen die berg, want jou volk wat jy uit Egipte uitgelei het, het goddeloos getree.^m Hulle het baie gou weggedraai van die weg wat ek hulle beveel het om te volg. Hulle

9:10 *Of "die gemeente".

HFST. 9

- a Le 18:25
b Ge 13:14, 15
Ge 17:1, 8
c Ge 26:3
d Ge 28:13
e Eks 34:9
Ps 78:8
f De 9:22
Ps 78:40
Heb 3:16
g Eks 17:2
Nu 11:4
Nu 16:1, 2
Nu 25:2, 3
De 31:27
h Eks 32:4, 10
i Eks 24:12
Eks 31:18
Eks 32:16
j Eks 24:7
k Eks 24:18
l Eks 19:19
De 4:10-13
m Eks 32:7

Tweede kol.

- a Eks 32:4
b Eks 32:9
c Eks 32:10
d Eks 19:18
e Eks 32:15
f Eks 20:3, 4
g Eks 32:19
h Eks 34:28
i Eks 32:10
j Eks 32:11, 14
Ps 106:23
k Eks 32:2, 21
l Eks 32:4
m Eks 32:20

het vir hulle 'n metaalbeeld gemaak.^a **13** Jehovah het toe vir my gesê: 'Ek het gesien dat hierdie volk 'n hardkoppige volk is.^b **14** Moet my nie probeer keer nie, want ek gaan hulle vernietig en hulle naam onder die hemel uitwis. Laat ek jou 'n nasie maak wat magtiger en groter is as hulle.'^c

15 "Daarna het ek omgedraai en teen die berg afgeklim terwyl die berg met vuur gebrand het,^d en die twee tablette van die verbond was in my hande.^e **16** Toe het ek gesien dat julle teen Jehovah julle God gesondig het! Julle het vir julle 'n kalf van metaal gemaak. Julle het gou weggedraai van die weg wat Jehovah julle beveel het om te volg.^f **17** Ek het toe die twee tablette gevat en dit met albei hande voor julle oë stukkend gegooi.^g **18** Daarna het ek 40 dae en 40 nagte lank voor Jehovah bly neerbuig, soos die eerste keer. Ek het niks geëet of gedrink nie^h as gevolg van al die sondes wat julle gepleeg het deur te doen wat sleg is in Jehovah se oë en hom aanstoot te gee. **19** Want ek was baie bang as gevolg van Jehovah se groot woede teen julle,ⁱ omdat hy op die punt was om julle te vernietig. Maar Jehovah het by daardie geleentheid ook na my geuister.^j

20 "Jehovah was so kwaad vir Aäron dat hy op die punt was om hom dood te maak,^k maar ek het toe ook vir Aäron smeekbede gedoen. **21** Toe het ek die sondige ding wat julle gemaak het, die kalf,^l geneem en dit met vuur verbrand. Ek het dit stukkend gebreek en dit deeglik gemaal totdat dit so fyn was soos stof, en ek het die stof in die stroom gegooi wat van die berg afvloei.^m

22 "Julle het Jehovah ook by Tabe'ra^a en by Massa^b en by Kib'rot-Hatta'awa^c kwaad gemaak. **23** En toe Jehovah julle uit Ka'des-Barne'a^d gestuur het en gesê het: 'Gaan en neem die land in besit wat ek beslis aan julle sal gee!' het julle weer teen die bevel van Jehovah julle God in opstand gekom,^e en julle het nie geloof in hom gehad nie,^f en julle het hom nie gehoorsaam nie. **24** Vandat ek julle ken, het julle teen Jehovah in opstand gekom.

25 "Ek het dus 40 dae en 40 nagte lank voor Jehovah bly neerbuig,^g en ek het dit gedoen omdat Jehovah gesê het dat hy julle gaan vernietig. **26** Ek het smeekgebode tot Jehovah begin doen en gesê: 'O Soewerine Heer Jehovah, moenie u volk vernietig nie. Hulle is u persoonlike besitting,^h wat u deur u grootheid verlos het en met 'n magtige hand uit Egipte uitgelei het.ⁱ **27** Dink aan u knegte Abraham, Isak en Jakob.^j Moenie aandag skenk aan die hardkoppigheid van hierdie volk, aan hulle goddeloosheid en hulle sonde nie.^k **28** Anders sal die volk van die land waaruit u ons gelei het, dalk sê: "Jehovah was nie in staat om hulle in die land in te bring wat hy aan hulle belowe het nie. En omdat hy hulle gehaat het, het hy hulle uitgelei om hulle in die wildernis dood te maak."^l **29** Want hulle is u volk en u persoonlike besitting,^m wat u met u groot krag en u uitgestrekte arm uitgelei het.ⁿ

10 "Toe het Jehovah vir my gesê: 'Kap vir jou twee kliptablette uit soos die eerstes^o en klim teen die berg op na my toe. Jy moet ook vir jou

9:26, 29 *Of "u erfdeel".

HFST. 9
a Nu 11:3
b Eks 17:7
c Nu 11:4, 34
d Nu 13:26
e Nu 14:3, 4
f De 1:32
Ps 106:24, 25
Heb 3:19
g Eks 34:28
h Eks 19:5
Ps 135:4
i Eks 32:11
j Eks 3:6
Eks 6:8
De 9:5
k Eks 32:31, 32
l Eks 32:12
Nu 14:15, 16
m 1Kn 8:51
Ne 1:10
n Eks 6:6
De 4:20, 34

HFST. 10
o Eks 34:1

Tweede kol.

a Eks 34:4
b Eks 32:15
c Eks 20:1
Eks 34:28
De 4:13
d De 4:36
De 5:4
e Eks 19:17
De 5:22
f Eks 34:29
g Nu 20:23, 24
Nu 33:31, 38
h Nu 20:28
i Nu 33:33
j Nu 1:50
Nu 3:6
Nu 8:14
k Nu 3:30, 31
l Nu 6:23-27
De 21:5
2K9 30:27
m Nu 18:20, 24
De 18:1
n Eks 24:18
Eks 34:28

'n ark* van hout maak. **2** En ek sal op die tablette die woorde skryf wat op die eerste tablette was, wat jy stukkend gegooi het, en jy moet dit in die ark sit.' **3** Toe het ek 'n ark van akasihout gemaak en twee kliptablette soos die eerstes uitgekap en teen die berg opgeklim met die twee tablette in my hand.^a **4** Daarna het hy op die tablette dieselfde woorde geskryf wat hy voorheen geskryf het,^b die Tien Gebooi,^c wat Jehovah op die berg uit die vuur vir julle gegee het^d op die dag toe julle^e vergader het.^e En Jehovah het dit vir my gegee. **5** Toe het ek omgedraai en teen die berg afgeklim^f en die tablette in die ark gesit wat ek gemaak het, waar dit nou nog is, net soos Jehovah my beveel het.

6 "Die Israëliete het van Be'ërot Bene'-Ja'akan af weggetrek na Mose'ra. Aäron het daar gesterf, en hy is daar begrawe,^g en sy seun Elea'sar het in sy plek as priester begin dien.^h **7** Hulle het daarvandaan weggetrek na Gudgo'da, en van Gudgo'da na Jotba'ta,ⁱ 'n land van waterstrome.*

8 "Toe het Jehovah die stam van Levi^j afgesonder om die ark van Jehovah se verbond^k te dra, om voor Jehovah te dien en om in sy naam te seën,^l soos hulle tot vandag nog doen. **9** Daarom het Levi nie 'n deel of 'n erfdeel saam met sy broers ontvang nie. Jehovah is sy erfdeel, net soos Jehovah julle God vir hom gesê het.^m **10** Ek het op die berg gebly soos ek die eerste keer gedoen het, 40 dae en 40 nagte,ⁿ en Jehovah het ook by daardie geleentheid na my

10:1 *Of "kis". 10:4 *Lett. "die Tien Woorde". Ook die Dekaloog genoem. *Of "die gemeente". 10:7 *Of "wadi's". Sien Woordelys.

geluister.^a Jehovah wou julle nie vernietig nie. **11** Toe het Jehovah vir my gesê: 'Maak gereed om te vertrek en lei die volk, sodat hulle kan ingaan en die land in besit kan neem wat ek aan hulle voorvaders met 'n eed belowe het om aan hulle te gee.'^b

12 "En nou, o Israel, wat vra Jehovah julle God van julle?^b Net dit: Om Jehovah jou God te vrees,^c om al sy weë te volg,^d om hom lief te hê, om Jehovah jou God met jou hele hart en jou hele siel* te dien^e **13** en om die gebooië en wetsbepalings van Jehovah te gehoorsaam wat ek julle vandag beveel, sodat dit met julle goed kan gaan.^f

14 Kyk, aan Jehovah julle God behoort die hemel, selfs die hoogste hemele, en die aarde en alles wat daarin is.^g **15** Maar dit was net aan julle voorvaders wat Jehovah geheg geraak het en aan wie hy sy liefde betoon het, en hy het julle, hulle nageslag,^h uit al die volke uitgekies, soos vandag gesien kan word. **16** Nou moet julle julle harte reinigⁱ en ophou om so hardkoppig te wees.^{#j} **17** Want Jehovah julle God is die God van die gode^k en die Here van die here, die groot, magtige en ontsagwekkende God, wat niemand partydig behandel^l en ook nie 'n omkoopgeskenk aanvaar nie. **18** Hy sorg dat die weeskind* en die weduwee regverdig behandel word,^m en hy is lief vir die uitlanderⁿ wat onder julle woon, en hy gee vir hom kos en klere. **19** Julle moet ook lief wees vir die uitlander wat onder julle woon, want julle was uitlanders in Egipte.^o

10:12 *Sien Woordelys. **10:16** *Lett. "die voorhuid van julle hart besny". #Lett. "en julle moet julle nek nie meer verhard nie". **10:18** *Lett. "vaderlose seun".

HFST. 10

a Eks 32:14

b Ge 15:18

c Mi 6:8

d De 5:29

e De 5:33
Jos 22:5f De 6:5
Lu 10:27

g De 6:24

h 1Kr 29:11
Ps 24:1
Ps 115:16

i De 4:37

j De 30:6

k Eks 34:9
De 9:6
De 31:27l Eks 18:11
2Kr 2:5
Ps 97:9m Han 10:34
Ro 2:11n Ps 68:5
Jak 1:27o Le 19:10
De 24:14
Ps 146:9p Eks 22:21
Le 19:34

Tweede kol.

a Lu 4:8

b Eks 15:2
Op 19:6

c 2Sa 7:23

d Ge 46:27
Eks 1:5
Han 7:14

e Ge 15:1, 5

HFST. 11

f De 6:5
De 10:12
Mr 12:30g De 8:5
Heb 12:6h De 5:24
De 9:26

i Eks 13:3

j De 4:34

k Eks 14:23, 28
Heb 11:29

20 "Dit is Jehovah julle God wat julle moet vrees. Hy is die Een wat julle moet dien^a en aan wie julle getrou moet bly, en dit is by sy naam wat julle moet sweer. **21** Hy is die Een wat julle moet loof.^b Hy is julle God, wat al hierdie groot en ontsagwekkende dinge vir julle gedoen het wat julle met julle eie oë gesien het.^c **22** Toe julle voorvaders na Egipte afgetrek het,^d was hulle 70 mense,* en nou het Jehovah julle God julle so baie soos die sterre van die hemel gemaak.^e

11 "Jy moet Jehovah jou verpligting teenoor hom en teenoor sy wetsbepalings, sy regterlike bevel en sy gebooië nakom. **2** Julle weet dat ek vandag met julle praat, nie met julle kinders nie. Hulle het nie die dissipline van Jehovah julle God,^g sy grootheid,^h sy magtige handⁱ en sy uitgestrekte arm geken of gesien nie. **3** Hulle het nie sy tekens en sy daade gesien wat hy in Egipte aan Farao, die koning van Egipte, en aan sy hele land gedoen het nie.^j

4 Hulle het ook nie gesien wat hy aan die leërmag van Egipte gedoen het nie, aan Farao se perde en strydwaens, waaroor hy die waters van die Rooisee laat stroom het toe hulle julle agternagesit het. Jehovah het hulle eens en vir altyd* vernietig.^k **5** Hulle het nie gesien wat hy vir* julle in die wildernis gedoen het in die tyd voordat julle by hierdie plek aangekom het nie, **6** of wat hy aan Datan en Abi'ram, die seuns van Eli'ab, die seun van Ruben, gedoen het nie toe die aarde oopgeskeur het en hulle voor die oë

10:22 *Of "siele". **11:4** *Of "tot vandag toe". **11:5** *Of "aan".

van die hele Israel ingesluk het, saam met hulle huisgesinne en hulle tente en elke lewendende ding wat hulle gevolg het.^a **7** Julle eie oë het al die groot dade gesien wat Jehovah gedoen het.

8 "Julle moet die hele gebod gehoorsaam wat ek vandag aan julle gee, sodat julle sterk kan word en kan ingaan in die land om dit in besit te neem **9** en sodat julle lank kan lewe^b in die land wat Jehovah met 'n eed belowe het om aan julle voorvaders en hulle nageslag* te gee,^c 'n land wat oorloop van melk en heuning.^d

10 "Die land wat julle in besit gaan neem, is nie soos Egipte, wat julle verlaat het nie. Daar het jy jou saad gesaai en dit met jou voet natgelei* soos jy in 'n groentetuin sou doen. **11** Maar die land aan die oorkant wat julle binnekort in besit gaan neem, is 'n land van berge en valleivlaktes.^e Dit drink die reën wat uit die hemel val.^f **12** Dit is 'n land waarvoor Jehovah julle God sorg. Die oë van Jehovah julle God is altyd daarop, van die begin van die jaar tot aan die einde van die jaar.

13 "En as julle my gebooi wat ek julle vandag beveel, streng gehoorsaam en Jehovah julle God met julle hele hart en julle hele siel* liefhet en dien,^g **14** sal ek vir julle land reën gee op die vasgestelde tyd, herfsreën en lentereën, en julle sal julle graan en julle nuwe wyn en julle olie insamel.^h **15** En ek sal weiding in julle veld voorsien vir julle vee, en julle sal eet en versadig word.ⁱ **16** Pasop dat julle hart nie verlei word om

11:9 *Lett. "saad". **11:10** *D.w.s. deur die voet op die een of ander manier te gebruik, hetsy deur 'n waterwiel te trap of deur waterwore te maak of oop te maak. **11:13, 18** *Sien Woordelys.

HFST. 11

a Nu 16:1, 32

b De 4:40
Spr 3:1, 2

c Ge 13:14, 15
Ge 26:3
Ge 28:13

d Eks 3:8
Ese 20:6

e De 1:7

f De 8:7

g De 4:29
De 6:5
De 10:12
Mt 22:37

h Le 26:4
De 8:7-9
De 28:12
Jer 14:22

i De 8:10

Tweede kol.

a De 8:19
De 29:18
Heb 3:12

b De 28:15, 23
1Kn 8:35, 36
2Kr 7:13, 14

c De 8:19

d Spr 7:1-3

e De 6:6-9
Spr 22:6
Ef 6:4

f De 4:40
Spr 4:10

g Ge 13:14, 15

h De 6:5
Lu 10:27

i De 10:20
De 13:4
Jos 22:5

j Eks 23:28
Jos 3:10

k De 7:1
De 9:1, 5

l Jos 14:9

m Ge 15:18
Eks 23:31

n De 7:24
Jos 1:5

o Eks 23:27
Jos 2:9, 10
Jos 5:1

'n verkeerde weg in te slaan en ander gode te aanbid en voor hulle neer te buig nie.^a **17** Anders sal Jehovah vir julle woedend word, en hy sal die hemel toesluit sodat dit nie sal reën^b en die grond nie sy opbrengs sal gee nie, en julle sal vinnig uit die goeie land verdwyn wat Jehovah aan julle gee.^c

18 "Jy moet hierdie woorde van my in jou hart en jou siel* bewaar en dit as 'n herinnering op jou hand bind, en dit moet soos 'n band op jou voorkop^d wees.^d **19** Leer dit vir jou kinders en praat daarvoor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op die pad loop en wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan.^e **20** Skryf dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte, **21** sodat julle en julle kinders lank kan lewe^f in die land wat Jehovah met 'n eed belowe het om aan julle voorvaders te gee,^g solank as wat die hemel bo die aarde is.

22 "As julle hierdie gebod wat ek vir julle gee, streng gehoorsaam en dit uitvoer deur Jehovah julle God lief te hê,^h al sy weë te volg en aan hom getrou te bly,ⁱ **23** dan sal Jehovah al hierdie nasies voor julle uit verdryf,^j en julle sal die land van nasies wat groter en magtiger is as julle, in besit neem.^k **24** Elke plek waar julle julle voete neersit, sal julle s'n word.^l Julle grens sal wees van die wildernis tot by die Li'banon, en van die Rivier, die Eu-fraatrivier, tot by die westelike see.^m **25** Niemand sal teen julle staande kan bly nie.ⁿ Jehovah julle God sal 'n vrees vir julle oor die hele land laat kom waarop julle loop,^o net soos hy julle belowe het.

11:18 *Lett. "tussen julle oë". **11:24** *Die Grootsee, die Middellandse See.

26 “Kyk, ek gee julle vandag die keuse tussen ’n seën en ’n vloek:^a 27 die seën as julle die gebooi van Jehovah julle God gehoorsaam wat ek julle vandag beveel.^b 28 en die vloek as julle nie die gebooi van Jehovah julle God gehoorsaam nie^c en wegdraai van die weg wat ek julle vandag beveel om te volg en julle agter ander gode aanloop wat julle nie geken het nie.

29 “Wanneer Jehovah julle God julle in die land inbring wat julle in besit gaan neem, moet julle die seën op die berg Gerisim uitspreek,^{*} en die vloek op die berg Ebal.^d 30 Hierdie berge is aan die ander kant van die Jordaanrivier, aan die westekant,^{*} in die land van die Kanaäniete wat in die A’raba woon, oorkant Gilgal, langs die groot bome van More.^e 31 Want julle trek deur die Jordaanrivier om in te gaan en die land in besit te neem wat Jehovah julle God aan julle gee.^f Wanneer julle dit in besit neem en daarin woon, 32 moet julle sorg dat julle al die wetsvoorskrifte en die regterlike bevele uitvoer wat ek vandag aan julle gee.^g

12 “Julle moet sorg dat julle al die dae van julle lewe hierdie wetsvoorskrifte en regterlike bevele gehoorsaam in die land wat Jehovah, die God van julle voorvaders, aan julle sal gee om in besit te neem. 2 Julle moet al die plekke heeltemal vernietig waar die nasies wat deur julle verdryf sal word, hulle gode gedien het,^h hetsy op die hoë berge of op die heuwels of onder enige groot boom. 3 Julle moet hulle altare afbreek, hulle heilige pilare stuk-kend breek,ⁱ hulle heilige pale^{*}

11:29 *Of “gee”. 11:30 *Of “in die rigting van die sonsondergang”. 12:3 *Sien Woordelys.

HFST. 11

a De 30:15

b De 28:1, 2
Ps 19:8, 11c Le 26:15, 16
Jes 1:20d De 27:12, 13
Jos 8:33, 34

e Ge 12:6

f Jos 1:11

g De 5:32
De 12:32

HFST. 12

h Eks 34:13

i Eks 23:24

Tweede kol.

a De 7:25

b Eks 23:13
Jos 23:7c Le 18:3
De 12:31

d 2Kr 7:12

e Le 1:3

f De 14:22

g Nu 18:19
De 12:11h 1Kr 29:9
Esr 2:68i De 12:17
De 15:19

j De 15:19, 20

k Le 23:40
De 12:12, 18
De 14:23, 26
Ps 32:11
Ps 100:2
Flp 4:4l 1Kn 8:56
1Kr 23:25

m Jos 3:17

n De 33:28
1Kn 4:25o De 16:2
De 26:2

p De 14:22, 23

q De 14:26
1Kn 8:66
Ne 8:10

met vuur verbrand en die beelde van hulle gode afkap^a en so doende die name van hulle gode uit daardie plek laat verdwyn.^b

4 “Julle mag Jehovah julle God nie so aanbid nie.^c 5 Julle moet eerder na die plek gaan wat Jehovah julle God vir sy naam en as sy woonplek onder al julle stamme uitkies, en julle moet hom daar aanbid.^{*d} 6 Dit is waar julle julle brandoffers,^e julle offerandes, julle tiendes,^f die bydrae van julle hand,^g julle gelofte-offers, julle vrywillige offers^h en die eersgeborenes van julle beeste en kleinvee moet bring.ⁱ 7 Julle en julle huisgesinne moet daar voor Jehovah julle God eet^j en vrolik wees oor alles wat julle uitgerig het,^k omdat Jehovah julle God julle geseën het.

8 “Julle mag nie doen soos ons vandag hier doen nie. Hier doen elkeen net wat reg is in sy eie oë^{*} 9 omdat julle nog nie in die rusplek^l en die erfdeel gekom het wat Jehovah julle God aan julle gee nie. 10 Wanneer julle deur die Jordaanrivier trek^m en julle in die land woon wat Jehovah julle God aan julle gee om in besit te neem, sal hy julle beslis rus gee van al julle vyande om julle, en julle sal in veiligheid woon.ⁿ 11 Julle sal alles wat ek julle beveel, bring na die plek wat Jehovah julle God vir sy naam uitkies^o – julle brandoffers, julle offerandes, julle tiendes,^p die bydrae van julle hand en al julle gelofte-offers wat julle belowe om aan Jehovah te gee. 12 Julle moet vrolik wees voor Jehovah julle God,^q julle en julle seuns, julle dogters, julle slawe, julle slavinne en die Leviete in julle stede,^{*} want die Leviete het nie ’n

12:5 *Lett. “soek”. 12:8 *Of “wat hy dink reg is”. 12:12 *Lett. “poorte”.

deel of 'n erfdeel saam met julle ontvang nie.^a **13** Wees versigtig om nie julle brandoffers te offer op enige ander plek wat vir julle goed lyk nie.^b **14** Julle moet julle brandoffers net op die plek offer wat Jehovah in een van julle stamgebiede uitkies, en daar moet julle alles doen wat ek julle beveel.^c

15 "Maar wanneer julle lus is vir vleis, mag julle in enige van julle stede* 'n dier slag en die vleis eet,^d volgens die seën wat Jehovah julle God julle gee. Die onrein persoon en die rein persoon mag dit eet, net soos julle 'n wildsbok^e sou eet. **16** Maar julle mag nie die bloed eet nie.^e Julle moet dit op die grond uitgooi soos water.^f **17** Julle sal nie toegelaat word om in julle stede* die tiendes te eet van julle graan, julle nuwe wyn, julle olie, die eersgeborenes van julle beeste en kleinvee,^g enige van julle gelofte-offers wat julle belowe om te gee, julle vrywillige offers of die bydrae van julle hand nie. **18** Julle moet hierdie dinge voor Jehovah julle God eet op die plek wat Jehovah julle God sal uitkies^h - julle en julle seuns, julle dogters, julle slawe, julle slavinne en die Leviete in julle stede* - en julle moet voor Jehovah julle God bly wees oor alles wat julle uitgegereg het. **19** Maak seker dat julle nie die Leviet afskeepⁱ solank as wat julle in julle land woon nie.

20 "Wanneer Jehovah julle God julle gebied uitbrei,^j net soos hy julle belowe het,^k en jy sê: 'Ek wil vleis eet,' omdat jy lus is om vleis te eet, mag jy vleis eet wanneer jy ook al daarvoor lus is.' **21** As julle ver is

12:15 *Lett. "in al jou poorte". 12:15, 22 *Lett. "die gasel en die takbok". 12:17, 18, 21 *Lett. "poorte".

HFST. 12

a Nu 18:20, 24
De 10:9
De 14:28, 29
Jos 13:14

b Le 17:3, 4
1Kn 12:28

c 2Kr 7:12

d De 12:21

e Ge 9:4
Le 7:26
Le 17:10
Han 15:20, 29

f Le 17:13
De 15:23

g De 14:22, 23

h De 12:11
De 14:26

i Nu 18:21
De 14:27
2Kr 31:4
Ne 10:38, 39
Mal 3:8

j 1Kn 4:21

k Ge 15:18
Eks 34:24
De 11:24

l Le 11:2-4

Tweede kol.

a De 14:23
2Kr 7:12

b De 14:4, 5

c Le 3:17
De 12:16

d Ge 9:4
Le 17:11, 14

e Le 17:13
De 15:23

f Le 17:11

g Le 4:29, 30

h Eks 23:23
Ps 44:2
Ps 78:55

van die plek wat Jehovah julle God uitkies om sy naam daar te vestig,^a moet julle van julle beeste of van julle kleinvee slag wat Jehovah julle gee het, net soos ek julle beveel het, en julle moet in julle stede* eet wanneer julle ook al daarvoor lus is. **22** Julle mag dit eet net soos julle 'n wildsbok^b sou eet. Die onrein persoon sowel as die rein persoon mag dit eet. **23** Wees net vasbeslote om nie die bloed te eet nie,^c want die bloed is die lewe,^d en julle mag nie die lewe* saam met die vleis eet nie. **24** Julle mag dit nie eet nie. Julle moet dit op die grond uitgooi soos water.^e **25** Julle mag dit nie eet nie, sodat dit met julle en julle kinders goed kan gaan, omdat julle doen wat reg is in Jehovah se oë. **26** Wanneer julle na die plek gaan wat Jehovah sal uitkies, mag julle net julle heilige dinge en julle gelofte-offers neem. **27** Daar moet julle julle brandoffers, die vleis en die bloed,^f op die altaar van Jehovah julle God offer, en die bloed van julle offerandes moet teen die altaar van Jehovah julle God uitgegooi word,^g maar die vleis mag julle eet.

28 "Sorg dat julle al hierdie woorde gehoorsaam wat ek julle beveel, sodat dit altyd met julle en julle kinders goed kan gaan, omdat julle doen wat goed en reg is in die oë van Jehovah julle God.

29 "Wanneer Jehovah julle God die nasies vernietig wie se land julle in besit moet neem^h en julle in hulle land woon, **30** moet julle versigtig wees dat julle nie verstrik word nadat hulle voor julle uitgeroei is nie. Moenie oor hulle gode vra: 'Hoe

12:23 *Of "siel".

het hierdie nasies hulle gode gedien?' en sê: 'Ek sal dit ook doen' nie.^a **31** Julle mag Jehovah julle God nie so aanbid nie, want hulle doen vir hulle gode elke afskuwelike ding wat Jehovah haat. Hulle verbrand selfs hulle seuns en hulle dogters met vuur vir hulle gode.^b **32** Julle moet sorg dat julle elke woord uitvoer wat ek julle beveel.^c Julle mag niks daarby voeg of daarvan wegneem nie.^d

13 "As 'n profeet of iemand wat deur middel van drome voorspellings maak, tussen julle opstaan en vir julle 'n teken of 'n voorteken gee, **2** en die teken of die voorteken waaroor hy met julle gepraat het, waar word, en hy sê: 'Laat ons agter ander gode aanloop,' gode wat julle nie geken het nie, 'en laat ons hulle dien,' **3** mag julle nie na die woorde van daardie profeet of daardie dromer luister nie,^e want Jehovah julle God toets julle^f om te weet of julle Jehovah julle God liefhet met julle hele hart en julle hele siel.^g **4** Dit is Jehovah julle God wat julle moet volg, hy is die Een wat julle moet vrees, dit is sy gebooie wat julle moet gehoorsaam en dit is sy stem waarna julle moet luister. Hy is die Een wat julle moet dien, en hy is die Een aan wie julle lojaliteit moet bly.^h **5** Maar daardie profeet of daardie dromer moet doodgemaak word,ⁱ want hy het julle aangehits om teen Jehovah julle God in opstand te kom. Hy wou julle laat afwyk van die weg wat Jehovah julle God, wat julle uit Egipte uitgelei en julle uit die huis van slawerny verlos het, julle beveel het om te volg. En julle moet wat sleg is, onder julle uit verwyder.^j

13:3, 8 *Sien Woordelys.

HFST. 12

a De 7:16
Ps 106:36
Ese 20:28

b Le 18:3, 21
Le 20:2
De 18:10-12
Jer 32:35

c Jos 22:5

d De 4:2
Jos 1:7

HFST. 13

e Jes 8:19
Jer 27:9

f De 8:2

g De 6:5
De 10:12
Mt 22:37

h De 10:20

i De 18:20

j De 17:2, 3, 7
1Kor 5:13

Tweede kol.

a 1Kn 11:4
2Pe 2:1

b Ga 1:8

c Eks 22:20
Eks 32:27
Nu 25:5

d De 17:2, 3, 7

e Le 20:2, 27

f De 17:13
1Ti 5:20

g De 19:15
1Ti 5:19

h De 17:4, 5
2Kr 28:6

i Eks 22:20

6 "As jou broer, die seun van jou ma, of jou seun of jou dogter of jou geliefde vrou of jou beste vriend jou in die geheim probeer verlei deur te sê: 'Laat ons ander gode gaan dien,'^a gode wat nie julle of julle voorvaders geken het nie, **7** gode van die volke om julle, of hulle nou naby julle is of ver van julle is, van die een einde van die land tot die ander einde van die land, **8** mag jy nie toegee of na hom luister nie,^b en jy mag ook nie vir hom jammer voel of medelye* betoon of hom beskerm nie, **9** maar jy moet hom vir seker doodmaak.^c Jy moet jou hand eerste lig om hom dood te maak, en daarna moet die hele volk dieselfde doen.^d **10** En jy moet hom met klippe doodgooi,^e want hy het jou probeer kry om Jehovah jou God te verlaat, wat jou uit Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei het. **11** Dan sal die hele Israel hoor en bang word, en niemand onder julle sal ooit weer so 'n slegte ding doen nie.^f

12 "As julle hoor dat daar in een van julle stede, wat Jehovah julle God aan julle gee om in te woon, gesê word: **13** 'Slegte mense het onder julle opgestaan om die inwoners van hulle stad te verlei deur te sê: "Laat ons ander gode gaan dien," gode wat julle nie geken het nie,' **14** dan moet julle die saak goed ondersoek en deeglik navraag doen.^g En as dit bevestig is dat hierdie afskuwelike ding wel onder julle volk gedoen is, **15** moet julle die inwoners van daardie stad vir seker met die swaard doodmaak.^h Vernietig dit en alles daarin,ⁱ insluitende die vee, met die swaard. **16** Julle moet al die buit in die middel van die openbare plein bymekaarmaak en die stad met vuur verbrand, en al die buit sal

'n heeloffer aan Jehovah julle God wees. Die stad moet vir altyd 'n ruïne wees. Dit mag nooit herbou word nie. **17** Julle mag niks neem wat vernietig moet word* nie.^a Dan sal Jehovah se brandende woede bedaar, en hy sal genade en medelye^b aan julle betoon en julle laat vermeerder, net soos hy vir julle voorvaders gesweer het.^b **18** Want julle moet Jehovah julle God gehoorsaam* deur al sy gebooie te onderhou wat ek julle vandag beveel. So doen julle wat reg is in die oë van Jehovah julle God.^c

14 "Julle is kinders van Jehovah julle God. Julle mag nie julleself sny^d of julle voorkop kaal skeer vir 'n dooie persoon nie.^e **2** Want julle is 'n heilige volk^f vir Jehovah julle God, en Jehovah het julle uitgekies om sy volk te word, sy spesiale eiendom,* uit al die volke wat op die oppervlak van die aarde is.^g

3 "Julle mag niks eet wat afstootlik is nie.^h **4** Julle mag die volgende diere eet:ⁱ die bul, die skaap, die bok, **5** die takbok, die gasel, die reebok, die wilde bok, die wildsbok, die wilde skaap en die bergskaap. **6** Julle mag enige dier eet waarvan die hoewe heeltemal gesplete is en wat herkou. **7** Maar julle mag nie die volgende diere eet wat herkou of wat gesplete hoewe het nie: die kameel, die haas en die klipdassie, want hulle herkou maar het nie gesplete hoewe nie. Hulle is vir julle onrein.^j **8** En ook die vark, want dit het gesplete hoewe, maar dit herkou nie. Dit is vir julle onrein. Julle mag nie hulle vleis

13:17 *Of "deur die ban geheilig is".
"Sien Woordelys. **13:18** *Of "na die stem van Jehovah julle God luister".
14:2 *Of "kosbare besitting".

HFST. 13

a Jos 6:18

b Ge 22:15, 17
Ge 26:3, 4

c De 6:18

HFST. 14

d Le 19:28

e Le 21:1, 5

f Le 19:2
Le 20:26
De 28:9
1Pe 1:15

g Eks 19:5, 6
De 7:6

h Le 11:43
Le 20:25
Han 10:14

i Le 11:2, 3

j Le 11:4-8

Tweede kol.

a Le 11:9, 10

b Le 11:13-20

c Eks 22:31
Le 17:15

d Eks 23:19
Eks 34:26

e De 12:11
De 26:12

f De 12:5, 17
De 15:19, 20

g Ps 111:10

DEUTERONOMIUM 13:17-14:24

eet of aan hulle karkasse raak nie.

9 "Julle mag die volgende eet van alles wat in die waters is: Julle mag enigiets eet wat vinne en skubbe het.^a **10** Maar julle mag niks eet wat geen vinne en skubbe het nie. Dit is vir julle onrein.

11 "Julle mag enige rein voël eet. **12** Maar julle mag nie die volgende eet nie: die arend, die visvalk, die swartaasvoël,^b **13** die rooiwou, die swartwou, elke soort wou, **14** elke soort kraai, **15** die volstruis, die uil, die meeu, elke soort valk, **16** die steenuil, die langooruil, die swaan, **17** die pelikaan, die aasvoël, die kormorant, **18** die ooievaar, elke soort reier, die hoep-hoep en die vlermuis. **19** Elke insek met vlerke is ook vir julle onrein. Hulle mag nie geëet word nie. **20** Julle mag enige rein vlieënde dier eet.

21 "Julle mag geen dier eet wat dood gevind is nie.^c Julle mag dit gee vir die uitlander wat in julle stede* onder julle woon, en hy mag dit eet, of dit kan aan 'n uitlander verkoop word. Want julle is 'n heilige volk vir Jehovah julle God.

"Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.^d

22 "Jy moet vir seker 'n tiende gee van alles wat jou saad jaar ná jaar op die landerye voortbring.^e **23** Jy moet voor Jehovah jou God die tiendes eet van jou graan, jou nuwe wyn, jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee op die plek wat hy vir sy naam uitkies,^f sodat jy kan leer om Jehovah jou God altyd te vrees.^g

24 "Maar as die reis vir jou te lank is en jy dit nie kan vervoer na die plek wat Jehovah

14:21 *Lett. "poorte".

vah jou God uitkies as die plek vir sy naam nie,^a omdat dit ver van jou af is (want Jehovah jou God sal jou seën), **25** dan kan jy dit verkoop en met die geld in jou hand reis na die plek wat Jehovah jou God sal uitkies. **26** Dan kan jy met die geld enigiets koop wat jy begeer – bees- te, skape, bokke, wyn en ander alkohol en enigiets wat jy wil hê. En jy moet daar voor Jehovah jou God eet en bly wees, jy en jou huisgesin.^b **27** En moenie die Leviet wat in julle stede is,^c afskeep nie, want hy het nie 'n deel of 'n erfdeel saam met julle ontvang nie.^d

28 “Aan die einde van elke derde jaar moet jy die hele tiende van jou opbrengs vir daardie jaar uitbring en dit in julle stede neersit.^e **29** Dan sal die Leviet, wat nie 'n deel of 'n erfdeel saam met julle ontvang het nie, die uitlander wat onder julle woon, die weeskind* en die weduwee wat in julle stede is, kom en eet en versadig word,^f sodat Jehovah jou God jou kan seën in alles wat jy doen.^g

15 “Aan die einde van elke sewe jaar moet jy skuld afskryf.^h **2** Dit is hoe die skuld afgeskryf moet word: Elke skuldeiser moet sy naaste se skuld afskryf. Hy moenie aandrang dat sy naaste of sy broer hom moet betaal nie, want daar sal aangekondig word dat die skuld ter ere van Jehovah afskryf word.ⁱ **3** Jy mag daarop aandrang dat die uitlander moet betaal,^j maar wat jou broer jou ook al skuld, moet jy afskryf. **4** Niemand onder julle hoef egter arm te word nie, want Jehovah sal julle vir seker seën^k in die land wat Jehovah julle God aan julle as 'n erfdeel

HFST. 14

- a De 12:5, 6
b De 12:7
De 26:11
Ps 100:2
c Nu 18:21
2Kr 31:4
1Kor 9:13
d Nu 18:20
De 10:9
e De 26:12
f Eks 22:21
De 10:18
Jak 1:27
g De 15:10
Ps 41:1
Spr 11:24
Spr 19:17
Mal 3:10
Lu 6:35

HFST. 15

- h Le 25:2
i De 31:10
j Eks 12:43
De 14:21
De 23:20
k De 28:8

Tweede kol.

- a Jos 1:7, 8
Jes 1:19
b De 28:12
c De 28:13
1Kn 4:24, 25
d Spr 21:13
Jak 2:15, 16
1Jo 3:17
e Le 25:35
Spr 19:17
Mt 5:42
Lu 6:34, 35
Ga 2:10
f De 15:1
g Eks 22:22, 23
De 24:14, 15
Spr 21:13
h Han 20:35
2Kor 9:7
1Ti 6:18
Heb 13:16
i De 24:19
Ps 41:1
j Mt 26:11
k Spr 3:27
Mt 5:42
Lu 12:33
l Eks 21:2
Le 25:39

gee om te besit, **5** maar dit sal net gebeur as julle die stem van Jehovah julle God streng gehoorsaam en streng bly by hierdie hele gebod wat ek julle vandag beveel.^a **6** Want Jehovah julle God sal julle seën net soos hy julle belowe het, en julle sal aan baie nasies leen, maar julle sal van niemand hoef te leen nie.^b En julle sal oor baie nasies heers, maar hulle sal nie oor julle heers nie.^c

7 “As een van julle broers onder julle arm word in een van julle stede in die land wat Jehovah julle God aan julle gee, moet jy nie jou hart verhard of jou hand toehou vir jou arm broer nie.^d **8** Want jy moet jou hand met vrygewigheid vir hom oopmaak^e en vir hom leen wat hy ook al nodig het of kortkom. **9** Wees versigtig dat jy nie slegte gedagtes in jou hart koester en dan suinig is teenoor jou arm broer en vir hom niks gee nie omdat jy dink: ‘Die sewende jaar, die jaar wanneer skuld afgeskryf moet word, het naby gekom.’^f As hy tot Jehovah roep om oor jou te kla, sal dit vir jou 'n sonde wees.^g **10** Jy moet vryelik aan hom gee,^h en jy* moenie teësinig aan hom gee nie, want dan sal Jehovah jou God jou seën in al jou werk en in alles wat jy aanpak.ⁱ **11** Want daar sal altyd arm mense in die land wees.^j Daarom beveel ek jou: ‘Jy moet jou hand met vrygewigheid oopmaak vir jou behoeftige en arm broer in jou land.’^k

12 “As een van jou broers, 'n Hebreeuse man of vrou, aan jou verkoop word en jou ses jaar lank gedien het, moet jy hom in die sewende jaar vrylaat.^l **13** En wanneer jy hom vrylaat, moet jy hom nie met leë hande

14:29 *Lett. “vaderlose seun”.

15:10 *Lett. “jou hart”.

wegstuur nie. **14** Jy moet vrygewig wees en vir hom iets gee van jou kleinvee, jou dorsvloer, jou oliepers en jou wynpers. Jy moet aan hom gee volgens die seën wat Jehovah jou God jou gegee het. **15** Onthou dat jy 'n slaaf in Egipte geword het en dat Jehovah jou God jou verlos het. Daarom beveel ek jou vandag om hierdie dinge te doen.

16 "Maar as hy vir jou sê: 'Ek sal nie van u af weggaan nie!' omdat hy jou en jou huisgesin liefhet en hy gelukkig was by jou,^a **17** dan moet jy hom teen 'n deur laat staan, 'n els neem en dit deur sy oor tot in die deur steek, en hy sal vir die res van sy lewe jou slaaf word. Jy moet dieselfde met jou slavin doen. **18** Dit moenie vir jou moeilik wees wanneer jy hom vrylaat en hy jou verlaat nie, want sy ses jaar lange diens aan jou was twee keer meer werd as dié van 'n gehuurde werker, en Jehovah jou God het jou in alles gesêen.

19 "Jy moet elke manlike eersgeborene van jou beeste en jou kleinvee vir Jehovah jou God heilig.^b Jy mag geen werk met die eersgeborene van jou beeste* doen nie, en jy mag ook nie die eersgeborene van jou kleinvee skeer nie. **20** Jy en jou huisgesin moet dit jaar ná jaar voor Jehovah jou God eet op die plek wat Jehovah sal uitkies.^c **21** Maar as dit 'n gebrek het – hetsy dit kreupel of blind is of enige ander ernstige gebrek het – mag jy dit nie aan Jehovah jou God offer nie.^d **22** Julle moet dit in julle stede* eet, die onrein persoon sowel as die rein persoon, net soos julle 'n wildsbok^e sou eet. **23** Maar julle mag nie die bloed

15:19 *Lett. "bul". 15:22 *Lett. "poorte". #Lett. "die gasel en die takbok".

HFST. 15

a Eks 21:5, 6

b Eks 13:2
Eks 22:30
Nu 3:13
Nu 18:15, 17

c De 12:5, 6
De 14:23
De 16:11

d Le 22:20
De 17:1
Mal 1:8
Heb 9:14

e De 12:15
De 14:4, 5

Tweede kol.

a Ge 9:4
Le 7:26
Han 15:20, 29

b Le 17:10, 13
De 12:16

HFST. 16

c Eks 12:14
Le 23:5
Nu 9:2
Nu 28:16
1Kor 5:7

d Eks 34:18

e Mt 26:17

f Eks 12:5, 6
2Kr 35:7

g 1Kn 8:29

h Eks 13:3
Le 23:6
Nu 28:17
1Kor 5:8

i Eks 12:33

j Eks 12:14
Eks 13:8, 9

k Eks 12:15
Eks 13:7

l Eks 12:10
Eks 34:25

m Eks 12:3, 6
Nu 9:2, 3
Mt 26:19, 20

n Eks 12:8
2Kr 35:13

o Joh 2:13
Joh 11:55

p Eks 12:16
Le 23:8

eet nie.^a Julle moet dit op die grond uitgooi soos water.^b

16 "Onthou die maand Abib,^{*} en vier die Pasga vir Jehovah julle God,^c want in die maand Abib het Jehovah julle God julle in die nag uit Egipte uitgelei.^d **2** En julle moet die Pasga-offer vir Jehovah julle God offer,^e uit die kleinvee en die beeste,^f op die plek wat Jehovah vir sy naam uitkies.^g **3** Julle mag niks daarby eet wat met suurdeeg gemaak is nie.^h Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet, die brood van swaarkry, want julle het haastig uit Egipte getrek.ⁱ Doen dit sodat julle die dag toe julle uit Egipte gekom het, kan onthou solank as wat julle lewe.^j **4** Geen suurdeeg mag sewe dae lank by julle in julle hele gebied gevind word nie,^k en van die vleis wat julle op die eerste dag in die aand sal offer, mag niks die hele nag tot die volgende oggend toe oorbly nie.^l **5** Julle sal nie toegelaat word om die Pasga-offer in sommer enige van die stede te offer wat Jehovah julle God aan julle gee nie. **6** Maar dit moet gedoen word op die plek wat Jehovah julle God vir sy naam uitkies. Julle moet die Pasga-offer in die aand offer, sodra die son ondergaan,^m op dieselfde dag as wat* julle uit Egipte vertrek het. **7** Julle moet dit gaarmaak en eetⁿ op die plek wat Jehovah julle God sal uitkies,^o en in die oggend kan julle na julle tente teruggaan. **8** Ses dae moet julle ongesuurde brood eet, en op die sewende dag sal daar 'n heilige vergadering vir Jehovah julle God wees. Julle mag geen werk doen nie.^p

16:1 *Sien Aanh. B15. 16:6 *Of "op die vasgestelde tyd dat".

9 "Jy moet sewe weke aftel. Jy moet sewe weke begin aftel vandat jy die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan steek.^a 10 Dan moet jy die Fees van die Weke vir Jehovah jou God vier^b met die vrywillige offer van jou hand. Dit moet in verhouding wees tot die seën wat Jehovah jou God jou gee.^c 11 En jy moet bly wees voor Jehovah jou God, jy en jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet wat in julle stede^e is, die uitlander wat onder julle woon, die weeskind^d en die weduwee wat by julle is, op die plek wat Jehovah jou God vir sy naam uitkies.^d 12 Onthou dat jy 'n slaaf in Egipte geword het,^e en jy moet hierdie wetsvoorskrifte gehoorsaam en nakom.

13 "Jy moet die Huttefees^{*f} sewe dae lank vier wanneer jy die opbrengs van jou dorsvloer, jou oliepers en jou wynpers insamel. 14 Wees bly gedurende jou fees,^g en jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet, die uitlander wat onder julle woon, die weeskind en die weduwee wat in julle stede is. 15 Sewe dae moet jy die fees^h vir Jehovah jou God vier op die plek wat Jehovah uitkies, want Jehovah jou God sal jou hele opbrengs en alles wat jy doen, seën,ⁱ en jy moet net vreugdevol wees.^j

16 "Drie keer per jaar moet al die mans voor Jehovah jou God verskyn op die plek wat hy uitkies: vir die Fees van die Ongesuurde Brode,^k die Fees van die Weke^l en die Huttefees,^{*m} en niemand mag met leë hande voor Jehovah verskyn nie. 17 Die gawe wat elkeen bring, moet in verhouding wees tot die

HFST. 16

a Eks 23:16
Eks 34:22
Le 23:15

b Nu 28:26

c De 16:17
1Kor 16:2
2Kor 8:12

d De 12:5-7

e Eks 3:7
De 5:15f Eks 23:16
Le 23:34
Nu 29:12
De 31:10, 11
Joh 7:2g De 12:12
Ne 8:10, 17
Pr 5:18h Le 23:36, 40
Ne 8:18i De 7:13
De 28:8
De 30:16j Flp 4:4
1Te 5:16

k Eks 23:14, 15

l De 16:10

m De 16:13

Tweede kol.

a 2Kor 8:12

b Eks 18:25, 26
De 1:16
2Kr 19:4, 5c Eks 23:2
Le 19:15

d De 1:17

e Eks 23:8
1Sa 12:3
Pr 7:7

f Mi 6:8

g Eks 34:13

h Eks 23:24
Le 26:1
De 12:3

HFST. 17

i Le 22:20
De 15:21
Mal 1:8j De 4:23
De 13:6-9

k De 4:19

l De 13:12-15

m Joh 7:51

seën wat hy van Jehovah sy God ontvang het.^a

18 "Julle moet regters^b en beamptes aanstel vir elke stam in al die stede^c wat Jehovah julle God aan julle gee, en hulle moet die volk met regverdigheid oordeel. 19 Julle mag nie die reg verdraai,^c partydig wees^d of 'n omkoopgeskenk aanvaar nie, want die omkoopgeskenk verblind die oë van die wyses^e en verdraai die woorde van die regverdiges. 20 Geregtigheid en geregtigheid moet julle nastreef,^f sodat julle kan bly lewe en die land in besit kan neem wat Jehovah julle God aan julle gee.

21 "Julle mag nie enige soort boom as 'n heilige paal^{*g} plant naby die altaar wat julle vir Jehovah julle God maak nie.

22 "Julle mag ook nie vir julle 'n heilige pilaar^{*h} oprig nie, iets wat Jehovah julle God haat.

17 "Julle mag nie aan Jehovah julle God 'n bul of 'n skaap offer wat 'n gebrek het of waarmee daar iets fout is nie, want dit is iets afskuweliks vir Jehovah julle God.ⁱ

2 "Sê nou daar word in een van julle stede wat Jehovah julle God aan julle gee, 'n man of 'n vrou onder julle gevind wat doen wat sleg is in die oë van Jehovah julle God en wat sy verbond verbreek.^j 3 Miskien het hy 'n verkeerde weg ingeslaan en ander gode aanbid en voor hulle of voor die son of die maan of die hele leëmag van die hemel neergebuig,^k iets wat ek nie beveel het nie.^l 4 Wanneer dit aan julle gerapporteer word of julle daarvan hoor, moet julle die saak deeglik ondersoek. As dit bevestig word^m

16:18 *Lett. "in al jou poorte". 16:21, 22 *Sien Woordelys.

16:11 *Lett. "poorte". ^aLett. "vaderlose seun". 16:13, 16 *Of "Fees van Tydelike Skuilings".

dat hierdie afskuwelike ding in Israel gedoen is, **5** moet julle die man of die vrou wat hierdie slegte ding gedoen het, na die stadspoorte bring, en die man of die vrou moet met klippe doodgegooi word.^a **6** Die persoon moet doodgemaak word as die saak deur* twee of drie getuies bevestig word.^b Hy mag nie doodgemaak word as daar net een persoon is wat teen hom getuig nie.^c **7** Die getuies moet hulle hand eerste lig om hom dood te maak, en daarna moet die hele volk dieselfde doen. Julle moet wat sleg is, onder julle uit verwyder.^d

8 "As 'n saak in een van julle stede na julle toe gebring word wat vir julle te moeilik is om oor te besluit, of dit nou te doen het met iemand wat doodgemaak is*^e of 'n wettige eis of 'n gewelddaad of enigiets anders waaroor daar 'n geskil is, dan moet julle na die plek gaan wat Jehovah julle God uitkies.^f **9** Gaan na die Levitiese priesters en na die regter^g wat in daardie dae dien en stel julle saak aan hulle, en hulle sal die besluit aan julle bekend maak.^h **10** Dan moet julle optree in ooreenstemming met die besluit wat hulle aan julle bekend maak by die plek wat Jehovah uitkies. Sorg dat julle alles doen wat hulle julle beveel. **11** Julle moet optree volgens die wet wat hulle vir julle wys en volgens die besluit wat hulle aan julle bekend maak.ⁱ Moenie regs of links afwyk van die besluit wat hulle aan julle bekend sal maak nie.^j **12** Die man wat trots* is en nie luister na die regter of na die priester wat voor Jehovah julle God dien nie, moet sterf.^k

17:6 *Of "uit die mond van". 17:8 *Of "met bloedvergieting". 17:12 *Of "vermetel".

HFST. 17

a De 13:6, 10

b Mt 18:16
Joh 8:17
1Ti 5:19
Heb 10:28

c Nu 35:30
De 19:15

d De 13:5
1Kor 5:13

e Nu 35:11

f De 12:5
1Kn 3:16, 28
Ps 122:2, 5

g 1Sa 7:15, 16

h De 19:17
De 21:5

i Mal 2:7

j De 5:32
De 12:32

k Spr 11:2
Heb 10:28

Tweede kol.

a De 13:5
1Kor 5:13

b De 13:11
De 19:20

c 1Sa 8:5, 20
1Sa 10:19

d 1Sa 9:17
1Sa 10:24
1Sa 16:12, 13

e De 20:1
2Sa 8:4
Ps 20:7
Spr 21:31

f Jes 31:1

g 1Kn 11:1-3
Ne 13:26

h Job 31:24, 28
1Ti 6:9

i De 31:9, 26
2Kn 22:8

j 2Kr 34:18

k Ps 1:2
Ps 119:97

Julle moet wat sleg is, uit Israel verwyder.^a **13** Die hele volk sal dan hiervan hoor en bang word, en hulle sal nie weer waag om so iets te doen* nie.^b

14 "Wanneer julle in die land kom wat Jehovah julle God aan julle gee en julle dit in besit geneem het en daarin woon en julle sê: 'Laat ons 'n koning oor ons aanstel soos al die nasies wat om ons is,'^c **15** dan moet julle 'n koning oor julle aanstel wat deur Jehovah julle God gekies word.^d Julle moet een van julle broers as koning aanstel. Julle mag nie 'n uitlander, wat nie julle broer is, oor julle aanstel nie. **16** Maar hy mag nie baie perde vir homself verkry^e of die volk na Egipte laat teruggaan om meer perde te kry nie,^f want Jehovah het vir julle gesê: 'Julle mag nooit weer op hierdie pad teruggaan nie.' **17** Hy mag ook nie baie vrouens vir hom neem nie, sodat sy hart nie 'n verkeerde weg inslaan nie.^g Hy mag ook nie groot hoeveelhede silwer en goud vir homself verkry nie.^h **18** Wanneer hy op die troon van sy koninkryk gaan sit, moet hy vir hom in 'n boek* 'n afskrif skryf van hierdie Wet, wat deur die Levitiese priesters gehou word.ⁱ

19 "Dit moet by hom bly, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees,^j sodat hy kan leer om Jehovah sy God te vrees en om al die woorde van hierdie Wet en hierdie wetsvoorskrifte te gehoorsaam deur dit te doen.^k **20** Dan sal hy nie neersien op sy broers nie,* en hy sal nie regs of links van die gebod afwyk nie, en hy en sy seuns sal lank oor sy koninkryk in Israel regeer.

17:13 *Of "weer vermetel optree". 17:18 *Of "boekrol". 17:20 *Lett. "sy hart hom nie bo sy broers verhef nie".

18 “Die Levitiese priesters, ja, die hele stam van Levi, sal nie ’n deel of ’n erfdeel saam met Israel ontvang nie. Hulle sal eet van die vuuroffers van Jehovah, wat sy erfdeel is.^a **2** Hulle mag dus geen erfdeel onder hulle broers hê nie. Jehovah is hulle erfdeel, net soos hy vir hulle gesê het.

3 “En die priesters sal die reg hê om die volgende van die volk te ontvang: Wanneer iemand ’n offerande bring, of dit nou ’n bul of ’n skaap is, moet hy die skouer, die kakebene en die maag vir die priester gee. **4** Die eerste opbrengs* van julle graan, julle nuwe wyn, julle olie en die eerste wol wat julle van julle kleinvee afskeer, moet julle vir hom gee.^b **5** Jehovah julle God het hom en sy seuns uit al julle stamme uitgekies om altyd in die naam van Jehovah te dien.^c

6 “Maar as ’n Leviet een van julle stede in Israel verlaat waar hy gewoon het^d en hy na die plek wil gaan wat Jehovah uitkies,^e **7** mag hy daar in die naam van Jehovah sy God dien net soos al sy broers, die Levitiese, wat daar voor Jehovah dien.^f **8** Hy sal saam met hulle ’n gelyke deel van die voedsel ontvang,^g buiten die geld wat hy kry wanneer hy sy voorvaderlike besittings verkoop.

9 “Wanneer julle in die land ingegaan het wat Jehovah julle God aan julle gee, mag julle nie die afskuwelike gebruike van daardie nasies aanleer nie.^h **10** Die volgende mag nooit onder julle gevind word nie: enigiemand wat sy seun of sy dogter as ’n offerande in die vuur

18:4 *Of “Die eerstelinge”. Sien Woordeboek. **18:6** *D.w.s. die plek wat Jehovah as die sentrum vir aanbidding uitkies.

HFST. 18

- a Nu 18:20, 24
De 10:9
Jos 13:14, 33
1Kor 9:13
b Eks 23:19
Nu 18:8, 12
2Kr 31:4
Ne 12:44
c Eks 28:1
Nu 3:10
De 10:8
d Nu 35:2
e De 12:5, 6
De 16:2
Ps 26:8
f 2Kr 31:2
g Le 7:10
h Le 18:26
De 12:30

Tweede kol.

- a De 12:31
2Kn 16:1, 3
2Kr 28:1, 3
Ps 106:35-37
Jer 32:35
b 2Kn 17:17
Han 16:16
c Le 19:26
Han 19:19
d Ese 21:21
e Eks 22:18
f Le 20:27
1Kr 10:13
g Le 19:31
h 1Sa 28:7-11
Jes 8:19
Ga 5:19, 20
i Mt 5:48
2Pe 3:14
j Le 19:26
2Kn 21:1, 2, 6
k Jos 13:22
l Ge 49:10
Nu 24:17
Lu 7:16
Joh 1:45
Joh 6:14
Han 3:22
Han 7:37
m Eks 19:17
n Eks 20:19
o Eks 34:28
Nu 12:3
Mt 4:1, 2
Mt 11:29
Joh 5:46
p Joh 17:8
q Joh 12:49
Heb 1:2
r Han 3:23

verbrand,^a enigiemand wat van waarsêery gebruik maak,^b enigiemand wat toorkuns beoefen,^c enigiemand wat na tekens^d soek,^d ’n towenaar,^e **11** enigiemand wat ’n towerspreuk oor ander uitspreek, enigiemand wat hulp gaan soek by ’n persoon wat geeste oproep^f of by ’n fortuinverteller^g of enigiemand wat die dooies raadpleeg.^h **12** Want enigiemand wat hierdie dinge doen, is afskuwelik vir Jehovah, en weens hierdie afskuwelike gebruike verdryf Jehovah julle God hulle voor julle uit. **13** Julle moet heeltemal rein wees voor Jehovah julle God.ⁱ

14 “Want hierdie nasies wie se land julle in besit neem, het geluister na diegene wat toorkuns^j en waarsêery^k beoefen, maar Jehovah julle God het julle nie toegelaat om so iets te doen nie. **15** Jehovah julle God sal vir julle uit julle broers ’n profeet soos ek laat kom. Julle moet na hom luister.^l **16** Dit is in antwoord op wat julle van Jehovah julle God gevra het op die dag toe julle* by Horeb vergader het,^m toe julle gesê het: ‘Moenie dat ons die stem van Jehovah ons God hoor of langer kyk na hierdie groot vuur nie, sodat ons nie sterf nie.’ⁿ **17** Toe het Jehovah vir my gesê: ‘Wat hulle gesê het, is goed. **18** Ek sal vir hulle ’n profeet soos jy uit hulle broers laat kom,^o en ek sal my woorde in sy mond sit,^p en hy sal vir hulle alles sê wat ek hom beveel.^q **19** En ek sal rekenskap eis van die man wat nie na my woorde luister wat hy in my naam sal sê nie.’^r

18:10 *Of “deur die vuur laat gaan”. *Of “voortekens”. **18:11** *Of “by ’n spiritistiese medium”. **18:16** *Of “die gemeente”.

20 “As enige profeet dit waag* om iets in my naam te sê wat ek hom nie beveel het om te sê nie of as hy in die naam van ander gode praat, moet daardie profeet sterf.^a **21** Maar julle sê dalk in julle hart: “Hoe sal ons weet dat Jehovah nie die woord gespreek het nie?” **22** Wanneer die profeet iets in die naam van Jehovah sê en dit nie vervul word of waar word nie, dan het Jehovah dit nie gesê nie. Die profeet het uit sy eie gepraat. Julle moenie vir hom bang wees nie.’

19 “Wanneer Jehovah julle God die nasies vernietig wie se land Jehovah julle God aan julle gee en julle hulle verdryf het en in hulle stede en huise gaan woon het,^b **2** moet julle drie stede afsonder in die land wat Jehovah julle God aan julle gee om te besit.^c **3** Julle moet die land wat Jehovah julle God aan julle gegee het om te besit, in drie dele verdeel en die paaie voorberei sodat enigen wat iemand doodgemaak het, na een van hierdie stede kan vlug.

4 “En dit is wat moet gebeur in die geval van ’n persoon wat iemand doodgemaak het en wat daarheen vlug om te bly lewe: Sê nou hy maak sy medemens onopsetlik dood en het hom nie voorheen gehaat nie.^d **5** Dalk gaan hy saam met sy medemens in die woud in om hout bymekaar te maak, en wanneer hy sy hand lig om ’n boom af te kap, vlieg die kop van die byl van die handvatsel af en tref dit sy medemens, en hy sterf. In so ’n geval moet die persoon na een van hierdie stede vlug om te bly lewe.^e **6** Anders kan die bloedwreker in sy woede die persoon

18:20 *Of “so vermetel is”.

HFST. 18

a De 13:1-5
Jer 28:11-17

HFST. 19

b De 7:1
De 9:1

c Nu 35:14
Jos 20:7,9

d Nu 35:15
De 4:42

e Nu 35:25

Tweede kol.

a Nu 35:12, 19

b Jos 20:4, 5

c Ge 15:18
Eks 23:31
De 11:24

d Ge 28:14

e De 11:22, 23

f Jos 20:7, 8

g Spr 6:16, 17

h De 21:6-9

i 1Jo 3:15

j Ge 9:6
Eks 21:12
Nu 35:16
De 27:24

k Le 24:17, 21
Nu 35:33
2Sa 21:1

l De 27:17

wat iemand doodgemaak het,^a agternasit, hom inhaal en hom doodmaak omdat die stad te ver was. Maar hy het nie verdien om te sterf nie omdat hy nie sy medemens voorheen gehaat het nie.^b **7** Daarom beveel ek julle: ‘Julle moet drie stede afsonder.’

8 “As Jehovah julle God julle gebied uitbrei soos hy vir julle voorvaders gesweer het^c en hy die hele land aan julle gegee het wat hy belowe het om aan julle voorvaders te gee^d **9** – omdat julle hierdie hele gebod getrou gehoorsaam wat ek julle vandag beveel, naamlik om Jehovah julle God lief te hê en altyd sy weë te volg^e – dan moet julle vir julle drie ander stede by hierdie drie voeg.^f **10** Op hierdie manier sal geen onskuldige bloed vergiet word^g in julle land wat Jehovah julle God aan julle as ’n erfdeel gee nie, en geen bloedskuld sal op julle kom nie.^h

11 “Maar as ’n man sy medemens gehaat hetⁱ en hy hom voorgelê en hom* dodelik gewond het en hy gesterf het en die man na een van hierdie stede gevlug het, **12** dan moet die ouermanne van sy stad hom daarvandaan laat roep en hom in die hand van die bloedwreker gee, en hy moet sterf.^j **13** Julle* mag nie vir hom jammer voel nie, en julle moet die skuld weens onskuldige bloed uit Israel verwyder,^k sodat dit met julle goed kan gaan.

14 “Wanneer julle julle erfdeel ontvang in die land wat Jehovah julle God aan julle gee om te besit, mag julle nie julle medemens se grensmerker skuif^l van die plek waar julle voorouers die grense vasgestel het nie.

19:11 *Of “sy siel”. **19:13** *Lett. “Jou oog”.

15 “n Enkele getuie is nie genoeg om iemand skuldig te bevind aan* ’n oortreding of ’n sonde wat hy dalk gepleeg het nie.^a Die saak moet deur[#] twee of drie getuies bevestig word.^b

16 As ’n getuie met slegte bedoelings teen ’n man getuig en hom van die een of ander oortreding aankla,^c 17 moet die twee manne wat by die saak betrokke is, voor Jehovah verskyn, en voor die priesters en die regters wat in daardie dae sal dien.^d 18 Die regters moet deeglik ondersoek instel,^e en as die man wat getuig het, ’n valse getuie is en ’n valse aanklag teen sy broer ingebring het, 19 moet julle aan hom doen net soos hy beplan het om aan sy broer te doen,^f en julle moet wat sleg is, onder julle uit verwyder.^g 20 Dié wat oorbly, sal dit hoor en sal bang wees, en niemand onder hulle sal ooit weer so ’n slegte ding doen nie.^h 21 Julle* mag nie jammer voel nie: Lewe[#] moet vir lewe^Δ wees, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet.ⁱ

20 “As julle teen julle vyande gaan oorlog voer en julle sien dat hulle meer perde en strydwaens en soldate as julle het, moet julle nie vir hulle bang wees nie, want Jehovah julle God, wat julle uit Egipte uitgelei het, is met julle.^k 2 Net voordat julle gaan veg, moet die priester kom en met die volk praat.^l 3 Hy moet vir hulle sê: ‘Luister, o Israel, julle gaan nou teen julle vyande veg. Moenie moed verloor nie. Moenie bang wees of vrees of vir hulle bewene, 4 want Jehovah julle God

19:15 *Lett. “om op te staan teen iemand weens”. #Of “uit die mond van”. 19:21 *Lett. “Jou oog”. #Of “Siel”. ΔOf “siel”.

HFST. 19

a Nu 35:30
De 17:6

b Mt 18:16
Joh 8:17
2Kor 13:1
1Ti 5:19

c Eks 23:1
1Kn 21:13
Mr 14:56

d De 17:8, 9

e De 13:14
De 17:4
2Kr 19:6

f Spr 19:5

g De 21:20, 21
De 24:7
1Kor 5:13

h De 13:11
De 17:13
1Ti 5:20

i De 19:13

j Eks 21:23-25
Le 24:20
Mt 5:38

HFST. 20

k De 3:22
De 31:6
Ps 20:7
Spr 21:31

l Nu 31:6

Tweede kol.

a Eks 14:14
Jos 23:10

b De 24:5

c Rig 7:3

d Nu 13:33
Nu 14:1-3
Nu 32:9
De 1:28

e Jos 11:19

f Le 25:44, 46
Jos 9:22, 27

gaan saam met julle om vir julle teen julle vyande te veg en julle te red.^a

5 “Die beamptes moet ook vir die volk sê: ‘Wie het ’n nuwe huis gebou en dit nie in gebruik geneem* nie? Laat hom na sy huis terugkeer. Anders sterf hy dalk in die geveg, en dan sal ’n ander man dit in gebruik neem.

6 En wie het ’n wingerd geplant en dit nog nie begin gebruik nie? Laat hom gaan en na sy huis terugkeer. Anders sterf hy dalk in die geveg, en dan sal ’n ander man dit begin gebruik.

7 En wie het aan ’n vrou verloof geraak en nog nie met haar getrou nie? Laat hom gaan en na sy huis terugkeer.^b Anders sterf hy dalk in die geveg, en dan sal ’n ander man met haar trou.’

8 Die beamptes moet ook vir die volk vra: ‘Wie is bang, en wie het moed verloor?^c Hy moet na sy huis terugkeer, sodat hy nie sy broers ook laat moed verloor nie.’^{*d} 9 Nadat die beamptes met die volk gepraat het, moet hulle hoofde oor die lêr-mag aanstel om die volk te lei.

10 “As julle by ’n stad kom om daarteen te veg, moet julle eers ’n vredesaanbod maak.^e

11 As die stad ’n vreedsame antwoord gee en hulle vir julle oopmaak, sal al die mense daarin julle slawe word, en hulle sal julle dien.^f 12 Maar as hulle weier om vrede met julle te maak en gereedmaak om oorlog teen julle te voer, moet julle dit beleër, 13 en Jehovah julle God sal dit beslis in julle hand gee, en julle moet elke man daarin met die swaard doodmaak. 14 Maar die vrouens, die kinders, die vee en al-

20:5 *Of “ingewy”. 20:8 *Of “sodat hy nie sy broers se hart laat smelt soos sy eie hart nie”.

les wat in die stad is, al die buit, mag julle vir julle neem,^a en julle sal van die buit van julle vyande eet, wat Jehovah julle God aan julle geegee het.^b

15 "So moet julle doen aan al die stede wat baie ver van julle af is, wat nie deel is van die stede van hierdie nabygeleë nasies nie. **16** Maar in die stede van die volgende volke, wat Jehovah julle God julle as 'n erfdeel gee, mag julle niks wat asemhaal, laat lewe nie.^c **17** Julle moet hulle geheel en al vernietig – die Hetiete, die Amoriëte, die Kanaaniëte, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete^d – net soos Jehovah julle God julle beveel het, **18** sodat hulle julle nie leer om al hulle afskuwelike gebruike te volg, die dinge wat hulle vir hulle gode gedoen het en wat julle teen Jehovah julle God^e sal laat sondig nie.

19 "As julle 'n stad beleër om dit in te neem en julle al dae lank daarteen veg, mag julle nie 'n byl teen die bome swaai en dit afkap nie. Julle mag daarvan eet, maar julle mag dit nie afkap nie.^f Want hoekom sou jy 'n boom van die veld aanval soos jy 'n mens sou aanval? **20** Julle mag net 'n boom afkap wat julle weet nie vir voedsel gebruik kan word nie. Julle mag dit afkap en beleëringswerke teen die stad bou wat teen julle oorlog voer, totdat dit val.

21 "As iemand wat doodgemaak is, in 'n veld gevind word in die land wat Jehovah julle God aan julle gee om te besit en niemand weet wie hom doodgemaak het nie, **2** dan moet julle ouermanne en regters^g uitgaan en die afstand meet van die lyk tot by die omliggende stede. **3** Daarna moet die ouermanne van die stad naaste aan die lyk 'n jong

HFST. 20

a 2Kr 14:13

b Jos 22:8

c Jos 6:17

Jos 10:28

Jos 11:11

d De 7:1

e Eks 34:15

De 7:4

Jos 23:12, 13

Jes 2:6

1Kor 5:6

1Kor 15:33

f Ne 9:25

HFST. 21

g De 16:18

Tweede kol.

a Nu 35:33

b Eks 28:1

c Nu 6:23-27

1Kr 23:13

d De 17:8, 9

e Ps 26:6

Mt 27:24

f 2Sa 7:23

g Jes 26:21

Jer 26:15

h Nu 31:9

De 20:13, 14

koei uit die beste neem wat nog nooit gewerk het nie, wat nog nooit 'n juk gedra het nie.

4 Die ouermanne van daardie stad moet die jong koei na 'n vallei* neem waarin water vloei en waar die grond nie bewerk is nie en waar saad nie gesaai is nie, en hulle moet die nek van die jong koei daar in die vallei breek.^a

5 "En die priesters, die Leviete, moet nader kom, want Jehovah julle God het hulle uitgekies om voor hom te dien,^b om seëninge in die naam van Jehovah uit te spreek.^c Hulle moet sê hoe elke saak wat met geweld te doen het, opgelos moet word.^d

6 Dan moet al die ouermanne van die stad naaste aan die lyk hulle hande was^e oor die jong koei wie se nek in die vallei gebreek is, **7** en hulle moet sê: 'Ons het nie hierdie persoon doodgemaak nie,* en ons oë het ook nie gesien toe dit gebeur het nie. **8** Moenie dit teen u volk Israel hou, wat u verlos het nie,^f o Jehovah, en moenie die skuld weens onskuldige bloed op u volk Israel laat bly nie.^g Dan sal die bloedskulde nie teen hulle gehou word nie. **9** So sal julle die skuld weens onskuldige bloed onder julle uit verwyder, want julle sal doen wat reg is in Jehovah se oë.

10 "As jy teen jou vyande gaan oorlog voer en Jehovah jou God hulle vir jou verlaan en jy hulle gevange neem^h **11** en jy onder die gevangenes 'n pragtige vrou sien en jy aangetrokke tot haar voel en jy haar as jou vrou wil neem, **12** dan mag jy haar in jou huis inbring. Sy moet dan haar kop skeer, haar

21:4 *Of "wadi". Sien Woordelys. **21:7** *Lett. "Ons hande het nie hierdie bloed vergiet nie".

naels versorg **13** en die klere van haar gevangenskap uittrek en in jou huis woon. Sy sal 'n volle maand oor haar pa en haar ma huil,^a en daarna mag jy seksuele omgang met haar hê. Jy sal haar man word, en sy sal jou vrou word. **14** Maar as jy nie tevrede met haar is nie, moet jy haar laat gaan^b waarheen sy ook al wil. Maar jy mag haar nie verkoop of haar wreed behandel nie, want jy het haar verneer.

15 "Sê nou 'n man het twee vrouens en hy het die een meer lief as die ander^{*} en hy het seuns by al twee en die eersgebore seun is die kind van die vrou wat hy minder liefhet.^c

16 Op die dag dat hy sy erfdel aan sy seuns gee, mag hy nie die seun van die vrou wat hy meer liefhet, as sy eersgeborene behandel ten koste van die ware eersgeborene, die seun van die vrou wat hy minder liefhet nie. **17** Hy moet die seun van die vrou wat hy minder liefhet, as die eersgeborene erken deur hom 'n dubbele deel te gee van alles wat hy het, want hy is die begin van sy voortplantingsvermoë. Die reg van die eersgeborene behoort aan hom.^d

18 "As 'n man 'n seun het wat hardkoppig en opstandig is en wat nie sy pa of sy ma gehoorsaam nie^e en hulle hom probeer reghelp het, maar hy weier om na hulle te luister,^f **19** dan moet sy pa en sy ma hom na die ouermanne by die poort van sy stad neem **20** en vir die ouermanne van sy stad sê: 'Hierdie seun van ons is hardkoppig en opstandig, en hy weier om ons te gehoorsaam.

21:15 *Lett. "As 'n man twee vrouens het, een wat hy liefhet en een wat hy haat".

HFST. 21

a Nu 20:29
De 34:8

b De 24:1

c Ge 29:30, 33

d Ge 25:31
2Kr 21:3e Eks 20:12
De 27:16
Spr 1:8
Ef 6:1f De 8:5
Spr 13:24
Spr 19:18
Spr 23:13
Heb 12:9

Tweede kol.

a Spr 28:7

b Ro 13:13
1Kor 6:10
Ef 5:18

c De 13:10, 11

d Nu 25:5

e Jos 10:26
Han 10:39f Jos 8:29
Joh 19:31

g Ga 3:13

h Nu 35:34

HFST. 22

i Eks 23:4

j Mt 7:12

k Eks 23:5
Le 19:18
Lu 10:27
Ga 6:10Hy is 'n vraat^a en 'n dronkaard.^b

21 Dan moet al die manne van sy stad hom met klippe doodgooi. So moet julle dit wat sleg is, onder julle uit verwyder, en die hele Israel sal dit hoor en bang word.^c

22 "As 'n man 'n sonde gepleeg het wat die doodstraf verdien en hy doodgemaak is^d en julle hom aan 'n paal gehang het,^e **23** mag sy lyk nie die hele nag aan die paal bly hang nie.^f Julle moet sorg dat julle hom daardie selfde dag begrawe, want iemand wat opgehang is, is deur God vervloek,^g en julle mag nie julle land, wat Jehovah julle God aan julle as 'n erfdel gee, onrein maak nie.^h

22 "As jy sien dat jou broer se bul of skaap weg dwaal, mag jy nie maak of jy dit nie gesien het nie.ⁱ Jy moet die dier vir seker na jou broer toe teruglei. **2** Maar as jou broer nie naby jou woon nie of as jy hom nie ken nie, moet jy die dier na jou huis toe bring, en dit moet by jou bly totdat jou broer daarna soek. Dan moet jy dit vir hom teruggee.^j **3** So moet jy doen met sy donkie, met sy klere en met enigiets wat jou broer verloor het en wat jy gevind het. Jy mag dit nie ignoreer nie.

4 "As jy sien dat jou broer se donkie of bul op die pad val, mag jy nie maak of jy dit nie gesien het nie. Jy moet hom vir seker help om die dier weer op te kry.^k

5 "'n Vrou mag nie die klere van 'n man aantrek nie, en 'n man mag ook nie die klere van 'n vrou dra nie. Want enigiemand wat dit doen, is afskuwelik vir Jehovah jou God.

6 "As jy langs die pad op 'n voëlne met kleintjies of eiers afkom, of dit nou in 'n boom of

op die grond is, en die ma op die kleintjies of die eiers sit, mag jy nie die ma saam met haar kleintjies neem nie.^a **7** Jy moet die ma laat gaan, maar jy mag die kleintjies vir jou neem. Doen dit sodat dit met jou goed kan gaan en jy lank kan lewe.

8 "As jy 'n nuwe huis bou, moet jy ook 'n muurtjie om jou dak bou,^b sodat jy nie bloedskuld op jou huis bring as iemand daarvan afval nie.

9 "Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie.^c Anders sal die volle opbrengs van die saad wat jy saai, sowel as die vrug van die wingerd, aan die heiligdom gegee moet word.

10 "Jy mag nie met 'n bul en 'n donkie saam ploeg nie.^d

11 "Jy mag nie klere dra van materiaal wat gemaak is van 'n kombinasie van wol en linne nie.^e

12 "Jy moet tossels vaswerk aan die vier hoeke van die klerre wat jy dra.^f

13 "As 'n man 'n vrou neem en seksuele omgang met haar het, maar haar later begin haat* **14** en hy haar van slegte gedrag beskuldig en haar 'n slegte naam gee deur te sê: 'Ek het hierdie vrou geneem, maar toe ek seksuele omgang met haar gehad het, het ek geen bewys gevind dat sy 'n maagd was nie,' **15** dan moet die pa en ma van die meisie die bewys van die maagdheid se maagdelikheid vir die ouermanne by die poort van die stad wys. **16** Die meisie se pa moet vir die ouermanne sê: 'Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy haat*' haar **17** en hy beskuldig haar van slegte gedrag deur te sê: 'Ek het uitgevind dat jou dog-

HFST. 22

a Le 22:28
Ps 145:9
Spr 12:10
Mt 10:29

b 2Sa 11:2
Han 10:9

c Le 19:19

d Spr 12:10

e Le 19:19

f Nu 15:38
Mt 23:2, 5

Tweede kol.

a Eks 18:21
De 1:13
De 16:18

b De 25:2
Spr 10:13
Spr 19:29

c Mal 2:16

d Heb 13:4

e Le 21:9

f Le 11:45
1Kor 5:13

g Ge 20:3
Eks 20:14
Le 20:10
1Kor 6:9, 10
1Kor 6:18

h Le 20:10
De 5:18
1Te 4:3, 6
Heb 13:4

ter geen bewys van maagdelikheid het nie." Hier is dan nou die bewys van my dogter se maagdelikheid.' Hulle moet dan die doek voor die ouermanne van die stad uitsprei. **18** Die ouermanne van die stad^a moet die man neem en hom dissipliner.^b **19** Hulle moet hom met 100 sikkels* silwer beboet en dit aan die meisie se pa gee, omdat die man 'n maagd van Israel belaster het,^c en sy sal sy vrou bly. Solank as wat hy lewe, sal hy nie toegelaat word om van haar te skei nie.

20 "Maar as die beskuldiging waar is en daar geen bewys is dat die meisie 'n maagd was nie, **21** dan moet hulle die meisie uitbring na die ingang van haar pa se huis, en die manne van haar stad moet haar met klippe doodgooi, omdat sy 'n skandelelike daad^d in Israel gepleeg het deur seksuele onsedelikheid* in die huis van haar pa te pleeg.^e So moet julle dit wat sleg is, onder julle uit verwyder.^f

22 "As 'n man betrap word terwyl hy by 'n ander man se vrou slaap, dan moet hulle al twee sterf, die man sowel as die vrou.^g So moet julle dit wat sleg is, uit Israel verwyder.

23 "As 'n maagd aan 'n man verloof is en 'n ander man haar in die stad teëkom en seksuele omgang met haar het, **24** dan moet julle hulle albei na die poort van daardie stad uitbring en hulle met klippe doodgooi, die meisie omdat sy nie in die stad geskree het nie en die man omdat hy die vrou van sy medemens verneder het.^h So moet julle dit wat sleg is, onder julle uit verwyder.

22:19 *'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. **22:21** *Of "prostituësie".

22:13 *Of "haar dan verwerp". **22:16** *Of "verwerp".

25 “Maar as die man die ver-
loofde meisie in die veld teëge-
kom het en hy haar verkrag het,
dan moet die man wat haar ver-
krag het, alleen sterf, **26** en
julle moet niks aan die meisie
doen nie. Die meisie het nie
'n sonde gepleeg wat die dood
verdien nie. Hierdie saak is
soos wanneer 'n man sy mede-
mens aanval en hom vermoor.*^a
27 Want hy het haar in die veld
teëgekrom, en die verloofde meisie
het geskree, maar daar was
niemand om haar te red nie.

28 “As 'n man 'n maagd teë-
kom wat nie verloof is nie en
hy die meisie gryp en seksue-
le omgang met haar het en hulle
betrap word,^b **29** dan moet
die man die meisie se pa 50 sik-
kels silwer gee, en sy moet sy
vrou word.^c Omdat hy haar ver-
neder het, sal hy nie toegelaat
word om van haar te skei solank
as wat hy lewe nie.

30 “Geen man mag sy pa se
vrou neem nie, sodat hy nie
skande oor sy pa bring nie.*^d

23 “Geen man wat gekas-
treer is deurdat sy testi-
kels stukkend gedruk is of wie
se manlike orgaan afgesny is,
mag in die gemeente van Jeho-
vah kom nie.^e

2 “Geen buite-egtelike seun
mag in die gemeente van Jeho-
vah kom nie.^f Selfs tot die tien-
de geslag mag nie een van sy na-
komelinge in die gemeente van
Jehovah kom nie.

3 “Geen Ammoniet of Mo-
abiet mag in die gemeente van
Jehovah kom nie.^g Selfs tot die
tiende geslag mag nie een van
hulle nakomelinge ooit in die ge-
meente van Jehovah kom nie,
4 omdat hulle julle nie gehelp

22:26 *Of “hom, 'n siel, vermoor”.
22:30 *Lett. “nie die kleed van sy pa
oplig nie”.

HFST. 22

a Ge 4:8
Nu 35:20, 21
Jak 2:11

b Ge 34:2, 5

c Ge 34:11, 12
Eks 22:16

d Le 18:8
Le 20:11
De 27:20
1Kor 5:1

HFST. 23

e Le 21:18, 20
Jes 56:4, 5

f Eks 20:14
Le 20:10

g Ne 13:1, 2

Tweede kol.

a Rig 11:18

b Nu 22:6
Jos 24:9

c Nu 22:35

d Nu 23:11, 25
Nu 24:10

e De 7:7, 8

f 2Sa 8:2
2Sa 12:31

g Ge 25:25, 26
Ge 36:1
Nu 20:14

h Ge 46:6
Le 19:34
Ps 105:23

i 1Sa 21:5
2Sa 11:11

j Le 15:16

k Le 15:31

l Le 26:12

m 1Pe 1:16

het deur vir julle kos en water
te gee nadat julle uit Egipte ge-
kom het nie,^a en omdat hulle Bi-
leam, die seun van Beor, uit Pe-
tor in Mesopota'mië, gehuur het
om julle te vervloek.^b **5** Maar
Jehovah julle God het geweier
om na Bi'leam te luister.^c Jeho-
vah julle God het die vloek eer-
der in 'n seën vir julle veran-
der,^d omdat Jehovah julle God
julle liefgehad het.^e **6** In al jul-
le dae moet julle nooit hulle
voordeel soek of hulle help om
voorspoedig te wees nie.^f

7 “Julle mag nie 'n Edomiet
haat nie, want hy is julle broer.^g

“Julle mag nie 'n Egiptenaar
haat nie, want julle het as uit-
landers in hulle land gewoon.^h

8 Van die derde geslag af mag
die kinders wat vir hulle gebore
word, in die gemeente van Je-
hovah kom.

9 “Wanneer julle teen julle
vyande gaan veg en kamp op-
slaan, moet julle enigiets wat
sleg is,* vermy.ⁱ **10** As 'n man
onrein word omdat hy 'n saad-
storting in die nag het,^j moet hy
uit die kamp uitgaan en buite
die kamp bly. **11** Wanneer dit
aand word, moet hy hom met
water was, en dan mag hy ná
sonder weer in die kamp in-
kom.^k **12** 'n Private plek* moet
buite die kamp vir julle ge-
bruik opsygesit word, en dit
is waar julle moet gaan. **13** 'n
Houtpen moet deel van jou ge-
reedskap wees. Wanneer jy buite
hurk, moet jy 'n gat daarmee
grawe en dan jou ontlasting be-
dek. **14** Want Jehovah julle
God is in julle kamp^l om jul-
le te verlos en om julle vyande
aan julle oor te lewer, en julle
kamp moet heilig wees,^m sodat

23:9 *Of “wat julle kan verontreinig”.
23:12 *D.w.s. 'n plek wat as 'n toilet ge-
bruik kan word.

hy niks afstootliks by julle sien en wegdraai en ophou om saam met julle te gaan nie.

15 "Jy mag nie 'n slaaf aan sy meester oorlewer as hy van sy meester ontsnap en na jou toe kom nie. **16** Hy mag onder julle woon waar hy ook al wil, in enige plek wat hy in een van julle stede uitkies. Julle mag hom nie sleg behandel nie.^a

17 "Geen dogter van Israel mag 'n tempelprostituut word nie,^b en ook mag geen seun van Israel 'n tempelprostituut word nie.^c **18** Julle mag nie die geld wat betaal is aan 'n vroulike prostituut of die geld wat betaal is aan 'n manlike prostituut* in die huis van Jehovah julle God bring om 'n gelofte na te kom nie, want albei is iets afskuweliks vir Jehovah julle God.

19 "Jy mag nie jou broer rente laat betaal nie,^d of dit nou rente is op geld, op kos of op enigiets waarop rente gevra kan word. **20** Jy mag 'n uitlander rente laat betaal,^e maar jy mag nie jou broer rente laat betaal nie,^f sodat Jehovah jou God jou kan seën in alles wat jy aanpak in die land wat jy in besit gaan neem.^g

21 "As jy 'n gelofte aan Jehovah jou God maak,^h moet jy nie traag wees om dit na te kom nie.ⁱ Want Jehovah jou God sal dit vir seker van jou eis. Anders sal dit 'n sonde vir jou word.^j **22** Maar as jy nie 'n gelofte maak nie, sal jy nie aan sonde skuldig wees nie.^k **23** Jy moet doen wat jy sê jy sal doen,^l en jy moet doen wat jy met jou eie mond as 'n vrywillige offer aan Jehovah jou God belowe het.^m

24 "As jy in jou medemens se wingerd ingaan, mag jy genoeg druiwe eet om jou te versadig,

23:18 *Lett. "'n hond".

HFST. 23

a Eks 22:21

b Le 19:29
Le 21:9

c 1Kn 14:24
2Kn 23:7

d Eks 22:25
Le 25:36, 37
Ne 5:10
Ps 15:5

e De 15:6

f Spr 28:8

g De 15:4
De 15:7,10
Spr 19:17
Lu 6:34, 35

h Rig 11:30, 31
1Sa 1:11

i Jon 2:9

j Pr 5:4, 6

k Pr 5:5

l Nu 30:2
Ps 15:4
Spr 20:25

m Rig 11:35
1Sa 14:24
Mt 5:33

Tweede kol.

a Mt 6:11
Ro 13:10

b Mt 12:1
Lu 6:1

HFST. 24

c Mt 5:31, 32
Mr 10:4, 11

d Mal 2:16
Mt 1:19
Mt 19:3-8

e Le 21:7

f De 20:7
Spr 5:18
Pr 9:9

g Eks 22:26, 27

h Ge 37:28
Ge 40:15

i Eks 21:16

maar jy mag niks daarvan in jou houër sit nie.^a

25 "As jy in jou medemens se landery van ongesnyde graan ingaan, mag jy die ryp are met jou hand pluk, maar jy mag nie 'n sekel gebruik om jou medemens se graan af te sny nie.^b

24 "As 'n man met 'n vrou trou, maar hy haar nie meer wil hê nie omdat hy iets omtrent haar gevind het wat skandelik is, dan moet hy vir haar 'n skeibrief uitskryf,^c dit vir haar gee en haar uit sy huis wegstuur.^d **2** Nadat sy sy huis verlaat het, mag sy met 'n ander man trou.^e **3** As die tweede man haar haat* en 'n skeibrief vir haar uitskryf, dit vir haar gee en haar uit sy huis wegstuur, of as die tweede man wat met haar getrou het, sterf, **4** sal haar eerste man wat haar weggestuur het, nie toegelaat word om haar weer as sy vrou te neem nadat sy onrein gemaak is nie, want dit is iets afskuweliks vir Jehovah. Julle mag nie sonde inbring in die land wat Jehovah julle God julle as 'n erfdeel gee nie.

5 "As 'n man pas getroud is, moet hy nie in die leërmag dien of enige ander pligte gegee word nie. Hy moet een jaar lank vrygestel word en by die huis bly en sy vrou gelukkig maak.^f

6 "Niemand mag 'n handmeul of die boonste maalklip daarvan as waarborg neem vir 'n lening nie,^g want dan neem jy iets as waarborg wat iemand nodig het om aan die lewe te bly.

7 "As daar uitgevind word dat iemand een van sy Israelitiese broers ontvoer het, hom mishandel het en hom verkoop het,^h dan moet die ontvoerder sterf.ⁱ

24:3 *Of "verwerp". **24:6** *Of "as 'n pand neem nie".

Julle moet wat sleg is, onder julle uit verwyder.^a

8 "As melaatsheid* uitbreek, moet julle baie versigtig wees en alles doen wat die Levitiese priesters julle sal beveel.^b Sorg dat julle presies doen wat ek hulle beveel het. **9** Onthou wat Jehovah julle God aan Mirjam gedoen het toe julle op pad was van Egipte af.^c

10 "As jy enigiets aan jou medemens leen,^d mag jy nie in sy huis ingaan om van hom te neem wat hy as waarborg aangebied het nie. **11** Jy moet buite bly staan, en die man aan wie jy geleen het, moet die voorwerp wat hy as waarborg gee, vir jou buitentoe bring. **12** En as die man arm is, mag jy nie bed toe gaan as jy nog die voorwerp het wat hy as waarborg gegee het nie.^e **13** Jy moet vir seker, sodra die son ondergaan, vir hom die voorwerp teruggee wat hy vir jou as waarborg gegee het, en hy moet met sy kleed bed toe gaan,^f en hy sal jou seën. Dan sal jy as regverdig word Jehovah jou God beskou word.

14 "Jy mag nie 'n gehuurde werker wat behoefte en arm is, uitbuit nie, of hy nou een van jou broers is of 'n uitlander wat in julle land, in julle stede,* woon nie.^g **15** Jy moet vir hom daardie selfde dag nog sy loon gee,^h voordat die son ondergaan, want hy is arm en sy lewe hang van sy loon af. Anders sal hy tot Jehovah roep om oor jou te kla, en jy sal aan sonde skuldig wees.ⁱ

16 "Vaders mag nie doodgemaak word vir wat hulle kinders doen nie, en kinders mag nie

24:8 *Die Hebreuse woord wat met "melaatsheid" vertaal word, het 'n breë betekenis. Sien Woordelys. **24:14** *Lett. "poorte".

HFST. 24

a De 19:18, 19
De 21:20, 21

b Le 13:2, 15
Mr 1:44
Lu 17:14

c Nu 12:10, 15

d De 15:7, 8
Spr 3:27

e Job 24:9, 10

f Eks 22:26, 27

g Le 25:39, 43
Spr 14:31

h Le 19:13
Jer 22:13
Mt 20:8

i Spr 22:22, 23
Jak 5:4

Tweede kol.

a 2Kr 25:3, 4

b Ese 18:20

c Eks 22:21, 22

d Eks 22:26, 27

e De 5:15

f Le 19:9
Le 23:22
Rut 2:16
Ps 41:1

g De 15:7, 10
Spr 11:24
Spr 19:17
Lu 6:38
2Kor 9:6
1Jo 3:17

h Le 19:10
De 26:13

HFST. 25

i De 16:18
De 17:8, 9
De 19:16, 17

doodgemaak word vir wat hulle vaders doen nie.^a 'n Persoon moet net vir sy eie sonde doodgemaak word.^b

17 "Jy mag nie die reg verdraai en die uitlander wat onder julle woon of die weeskind* benadeel nie,^c en jy mag nie die kleed van 'n weduwee as waarborg vir 'n lening[#] neem nie.^d **18** Onthou dat julle slawe in Egipte geword het en dat Jehovah julle God julle verlos het.^e Daarom beveel ek julle om hierdie dinge te doen.

19 "Wanneer julle die oes op julle landerye insamel en julle 'n graanbondel op die landery vergeet het, moet julle nie teruggaan om dit te gaan haal nie. Dit moet daar gelos word vir die uitlander wat onder julle woon, die weeskind en die weduwee,^f sodat Jehovah julle God julle kan seën in alles wat julle doen.^g

20 "Wanneer julle die vrugte van julle olyfbome afsla, mag julle dit nie 'n tweede keer doen nie. Wat oorbly, moet gelos word vir die uitlander wat onder julle woon, die weeskind en die weduwee.^h

21 "Wanneer julle die druiwe van julle wingerde insamel, mag julle nie teruggaan om die oorblyfsels in te samel nie. Dit moet daar gelos word vir die uitlander wat onder julle woon, die weeskind en die weduwee. **22** Onthou dat julle slawe in Egipte geword het. Daarom beveel ek julle om hierdie dinge te doen.

25 "As daar 'n saak is waaroor manne nie saamstem nie, kan hulle na die regters gaan,ⁱ en hulle sal hulle oordeel en die regverdige onskuldig verklaar en die goddelose skuldig

24:17 *Lett. "vaderlose seun". [#]Of "as 'n pand".

verklaar.^a **2** As die goddelose persoon verdien om geslaan te word,^b moet die regter hom uitgestrek laat lê, en hy sal voor die regter geslaan word. Die aantal houe moet ooreenstem met die goddeloosheid van sy daad. **3** Hy mag hom tot 40 houe gee,^c maar nie meer nie. As hy hom meer houe as dit gee, sal jou broer voor jou verneder word.

4 "Jy mag nie 'n bul se bek toebind wanneer hy op die dorsvloer werk nie."^d

5 "As broers bymekaar woon en een van hulle sterf sonder dat hy 'n seun het, moet die vrou van die dooie man nie met iemand buite die familie trou nie. Haar swaer moet na haar toe gaan, haar as sy vrou neem en die swaershuwelik met haar sluit.^e **6** Haar eersgeborene sal die naam van die dooie broer laat voortleef,^f sodat sy naam nie uit Israel uitgewis word nie.^g

7 "En as die man nie met sy broer se weduwee wil trou nie, moet sy broer se weduwee na die ouermanne by die stads-poort gaan en sê: 'My man se broer het geweier om sy broer se naam in Israel te laat voortbestaan. Hy wou nie die swaershuwelik met my sluit nie.' **8** Die ouermanne van sy stad moet hom roep en met hom praat. As hy bly weier en sê: 'Ek wil nie met haar trou nie,' **9** dan moet sy broer se weduwee voor die ouermanne na hom toe gaan, sy sandaal van sy voet aftrek,^h in sy gesig spoeg en sê: 'Dit is wat gedoen moet word met die man wat sy broer se huis nie wil opbou nie.' **10** Daarna sal sy familie* in Israel bekend staan as: 'Die huis

25:10 *Of "die naam van sy huisgesin". Lett. "sy naam".

HFST. 25

a Eks 23:6
2Kr 19:6
Spr 17:15
Spr 31:9

b Spr 10:13
Spr 20:30
Spr 26:3
Lu 12:48
Heb 2:2

c 2Kor 11:24

d Spr 12:10
1Kor 9:9
1Ti 5:18

e Ge 38:7, 8
Rut 4:5
Mr 12:19

f Ge 38:9
Rut 4:10, 17

g Nu 27:1, 4

h Rut 4:7

Tweede kol.

a Spr 11:1
Spr 20:10
Mi 6:11

b Le 19:36

c De 4:40

d Le 19:35

e Eks 17:8
Nu 24:20

f Jos 22:4

g Eks 17:14
1Sa 14:47, 48
1Sa 15:1-3
1Kr 4:42, 43

van die een wie se sandaal uitgetrek is.'

11 "As twee mans met mekaar baklei en die vrou van die een haar man probeer help en sy haar hand uitsteek en die aanvaller aan sy geslagsdele gryp, **12** dan moet jy haar hand afkap. Jy* moenie jammer voel nie.

13 "Jy mag nie vir dieselfde gewig twee verskillende weegstene,^a 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie. **14** Jy mag nie vir dieselfde maat twee verskillende maathouers,^b 'n grote en 'n kleintjie, in jou huis hê nie. **15** Jy moet 'n akkurate en eerlike gewig en 'n akkurate en eerlike maathouer hê, sodat jy lank sal lewe in die land wat Jehovah jou God aan jou gee.^c **16** Want elke oneerlike persoon wat sulke dinge doen, is afskuwelik vir Jehovah jou God.^d

17 "Onthou wat A'malek op die pad aan julle gedoen het toe julle uit Egipte gekom het,^e **18** hoe hy dié van julle wat agtergeraak het, op die pad aangeval het terwyl julle moeg en uitgeput was. Hy het God nie gevrees nie. **19** Wanneer Jehovah julle God julle rus gegee het van al die vyande om julle in die land wat Jehovah julle God julle as 'n erfdeel gee om te besit,^f moet julle seker maak dat niemand onder die hemel A'malek sal onthou nie.^g Julle moet dit nie vergeet nie.

26 "Wanneer julle uiteinde-lik in die land ingaan wat Jehovah julle God julle as 'n erfdeel gee en julle dit in besit geneem het en daarin woon, **2** dan moet jy 'n deel neem van die eerste opbrengs* van jou

25:12 *Lett. "Jou oog". **25:14** *Lett. "n efa en 'n efa". Sien Aanb. B14. **26:2** *Of "die eersteling". Sien Woordelys.

hele oes in die land wat Jehovah julle God aan julle gee. Jy moet dit in 'n mandjie sit en na die plek gaan wat Jehovah julle God vir sy naam uitkies.^a **3** Jy moet na die priester gaan wat in daardie dae sal dien en vir hom sê: 'Vandag verklaar ek aan Jehovah u God dat ek in die land gekom het wat Jehovah aan ons voorvaders met 'n eed belowe het om aan ons te gee.'^b

4 "Die priester sal die mandjie dan uit jou hand neem en dit voor die altaar van Jehovah jou God neersit. **5** Dan moet jy voor Jehovah jou God sê: 'My vader was 'n Arameër^c wat rondgeswerf het,* en hy het met min mense na Egipte gegaan^d en daar as 'n uitlander gewoon.^e Maar daar het hy 'n baie groot en magtige nasie geword.^f **6** En die Egiptenare het ons sleg behandel en ons onderdruk en het ons hard laat werk as slawe.^g **7** Daarom het ons tot Jehovah, die God van ons voorvaders, begin uitroep, en Jehovah het ons stem gehoor, en hy het gesien hoe ons ly en swaarkry en onderdruk word.^h **8** Uiteindelik het Jehovah ons met 'n magtige hand en 'n uitgestrekte armⁱ en met skrikwekkende daade en met tekens en wonderwerke uit Egipte uitgelei.^j **9** Toe het hy ons na hierdie plek gebring en ons hierdie land gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.^k **10** Nou het ek die eerste opbrengs* gebring van die grond wat Jehovah aan my gegee het.'^l

"Jy moet dit voor Jehovah jou God neersit en jy moet voor Jehovah jou God neerbuig. **11** Jy moet dan bly wees oor

26:5 *Of moontlik "wat op die punt was om te sterf". **26:10** *Of "die eerste-linge". Sien Woordelys.

HFST. 26

a Eks 23:19
Le 23:10
Nu 18:8, 12
2Kr 6:6
2Kr 31:5
Spr 3:9

b Ge 17:1, 8
Ge 26:3

c Ge 28:5
Ho 12:12

d Ge 46:3
Han 7:15

e Ge 46:27

f Eks 1:7
De 10:22
Ps 105:24

g Eks 1:11

h Eks 3:9
Eks 4:31
Han 7:34

i Eks 6:6

j Eks 7:3
De 4:33, 34

k Eks 3:8
De 8:7, 8
Ese 20:6

l De 26:2

Tweede kol.

a De 12:7
De 16:14

b De 12:5, 6
De 14:22

c De 14:28, 29
Spr 14:21
1Jo 3:17

d Jak 1:27

e Eks 23:25

f Ge 15:18
Ge 26:3

g De 8:7, 8

h De 6:6
De 11:1
Ps 119:34
1Jo 5:3

i Le 26:46

j Pr 12:13

k Le 19:37

al die goeie dinge wat Jehovah jou God vir jou en jou huisgesin gegee het, jy en die Leviet en die uitlander wat onder julle woon.^a

12 "Wanneer jy in die derde jaar, die jaar van die tiendes, die hele tiende van jou opbrengs klaar ingesamel het,^b dan moet jy dit aan die Leviet, die uitlander wat onder julle woon, die weeskind* en die weduwee gee, en hulle sal dit in julle stede^c eet en versadig word.^c **13** Jy moet dan voor Jehovah jou God sê: 'Ek het die heilige deel uit my huis geneem en dit aan die Leviet, die uitlander wat onder ons woon, die weeskind en die weduwee gegee,^d net soos u my beveel het. Ek het nie u gebooe oortree nie en was nie ongehoorsaam daaraan nie. **14** Ek het nie daarvan geëet terwyl ek gerou het nie of daaraan geraak terwyl ek onrein was nie, en ek het niks daarvan vir die dooies gegee nie. Ek het die stem van Jehovah my God gehoorsaam en het alles gedoen wat u my beveel het. **15** Kyk tog af uit u heilige woonplek, die hemel, en seën u volk Israel en die land wat u aan ons gegee het,^e net soos u vir ons voorvaders gesweer het,^f die land wat oorloop van melk en heuning.'^g

16 "Vandag beveel Jehovah julle God julle om hierdie wetsvoorskrifte en regterlike bevels uit te voer. Julle moet dit met julle hele hart^h en julle hele siel* gehoorsaam en uitvoer. **17** Vandag het julle Jehovah se versekering ontvang dat hy julle God sal word as julle sy weë volg en sy wetsvoorskrifte,ⁱ sy gebooe^j en sy regterlike bevels gehoorsaam^k en na

26:12 *Lett. "vaderlose seun". [#]Lett. "poorte". **26:16** *Sien Woordelys.

sy stem luister. **18** En vandag het julle voor Jehovah gesê dat julle sy volk sal word, sy spesiale eiendom,*^a net soos hy julle belowe het, en julle het gesê dat julle al sy gebooe sal gehoorsaam. **19** En hy het gesê dat hy julle hoog bo al die ander nasies sal stel wat hy gemaak het^b en julle lof en roem en heerlijkheid sal gee as julle 'n heilige volk vir Jehovah julle God is,^c net soos hy belowe het."

27 Toe het Moses die volk hierdie bevele gegee terwyl die ouermanne van Israel by hom gestaan het: "Julle moet elke gebod gehoorsaam wat ek julle vandag gee. **2** En die dag waarop julle deur die Jordaanrivier trek na die land wat Jehovah julle God aan julle gee, moet julle ook vir julle groot klippe oprig en dit met kalk bedek.*^d **3** Wanneer julle deurgetrek het, moet julle al die woorde van hierdie Wet daarop skryf. Dan mag julle in die land ingaan wat Jehovah julle God aan julle gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning, net soos Jehovah, die God van julle voorvaders, julle belowe het.^e **4** Nadat julle deur die Jordaanrivier getrek het, moet julle hierdie klippe op die berg Ebal^f oprig en dit met kalk bedek,* net soos ek julle vandag beveel. **5** Julle moet ook 'n altaar vir Jehovah julle God daar bou, 'n altaar van klippe. Julle mag nie die klippe met ystergereedskap bewerk nie.^g **6** Julle moet die altaar van Jehovah julle God met heel klippe bou en brandoffers aan Jehovah julle God daarop offer. **7** Julle moet verdoffers* offer^h en dit daar eet,ⁱ en

26:18 *Of "kosbare besitting". 27:2, 4 *Lett. "met kalk afwit". 27:7 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 26

a De 14:2
De 29:10-13

b De 4:8

c De 7:6
De 28:1, 9

HFST. 27

d Jos 8:30-32

e Nu 13:26, 27

f De 11:29

g Eks 20:25

h Le 3:1

i Le 7:15

Tweede kol.

a De 12:7

b Eks 24:12

c Eks 19:5
De 26:18

d 1Kn 2:3
Mt 19:17
1Jo 5:3

e De 11:29

f Jos 8:33

g De 33:10

h Eks 20:4
De 4:15, 16
Jes 44:9

i Eks 34:17
Le 19:4

j De 7:25
De 29:17

k Eks 20:12
De 21:18-21
Spr 20:20
Spr 30:17
Mt 15:4

l De 19:14
Spr 23:10

m Le 19:14

julle moet bly wees voor Jehovah julle God.^a **8** En julle moet al die woorde van hierdie Wet duidelik op die klippe skryf."^b

9 Toe het Moses en die Levitiese priesters vir die hele Israel gesê: "Wees stil en luister, o Israel. Vandag het julle die volk van Jehovah julle God geword.^c

10 Julle moet na die stem van Jehovah julle God luister en sy gebooe en sy wetsvoorskrifte gehoorsaam^d wat ek julle vandag beveel."

11 Op daardie dag het Moses die volgende bevel aan die volk gegee en gesê: **12** "Die volgende stamme moet op die berg Gerisim^e staan om die volk te seën nadat julle deur die Jordaanrivier getrek het: Si'meon, Levi, Juda, Is'saskar, Josef en Benjamin. **13** En die volgende stamme moet op die berg Ebal^f staan om die vloek uit te spreek: Ruben, Gad, Aser, Se'ulun, Dan en Naf'tali. **14** En die Leviete moet met 'n harde stem vir elke man van Israel sê:^g

15 "'Vervloek is die man wat 'n uitgekerfde beeld^h of 'n metaalbeeld maakⁱ - iets wat vir Jehovah afskuwelik is,^j die handewerk van 'n ambagsman* - en wat dit weggesteek het.' (En die hele volk moet antwoord en sê: 'Amen!'"^k)

16 "'Vervloek is die persoon wat sy pa of sy ma sonder respek behandel.'^k (En die hele volk moet sê: 'Amen!')

17 "'Vervloek is die persoon wat die grensmerker van sy medemens verskuif.'^l (En die hele volk moet sê: 'Amen!')

18 "'Vervloek is die persoon wat 'n blinde persoon op die pad laat verdwaal.'^m (En die hele volk moet sê: 'Amen!')

27:15 *Of "'n hout-en-metaal-werker".
"Of "Laat dit so wees!"

19 “Vervloek is die persoon wat die reg verdraai^a en ’n uitlander wat onder julle woon, ’n weeskind* of ’n weduwee benadeel.^b (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

20 “Vervloek is die persoon wat seksuele omgang met sy pa se vrou het, want hy het sy pa oonteer.^{*c} (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

21 “Vervloek is die persoon wat seksuele omgang met enige dier het.^d (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

22 “Vervloek is die persoon wat seksuele omgang het met sy suster, of dit nou die dogter van sy pa of die dogter van sy ma is.^e (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

23 “Vervloek is die persoon wat seksuele omgang met sy skoonma het.^f (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

24 “Vervloek is die persoon wat sy medemens voorlê en hom doodmaak.^g (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

25 “Vervloek is die persoon wat ’n omkoopgeskenk aanvaar om ’n onskuldige persoon* dood te maak.^h (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

26 “Vervloek is die persoon wat die woorde van hierdie Wet nie gehoorsaam en uitvoer nie.ⁱ (En die hele volk moet sê: ‘Amen!’)

28 “En as julle vir seker na die stem van Jehovah julle God luister en sorg dat julle al sy gebooe uitvoer wat ek julle vandag beveel, dan sal Jehovah julle God julle beslis hoog bo al die ander nasies van die aarde plaas.^j **2** Al hierdie seë-

27:19 *Lett. “vaderlose seun”. **27:20** *Lett. “die kleeft van sy pa opgeleë”. **27:25** *Of “’n siel van onskuldige bloed”.

HFST. 27

a De 16:20
Spr 17:23
Mi 3:11

b Eks 22:21, 22
De 10:17, 18
Mal 3:5
Jak 1:27

c Le 18:8
1Kor 5:1

d Eks 22:19
Le 18:23
Le 20:15

e Le 18:9
Le 20:17

f Le 18:17
Le 20:14

g Eks 20:13
Eks 21:12
Nu 35:31

h Mt 27:3, 4

i De 28:15
Ga 3:10

HFST. 28

j De 26:18, 19

Tweede kol.

a Le 26:3, 4
Spr 10:22
Jes 1:19

b De 11:14

c Le 26:9
Ps 127:3
Ps 128:3

d De 7:13

e De 26:2

f Eks 23:25

g De 32:30
Jos 10:11

h De 7:23
2Kr 14:13

i Le 26:10
Spr 3:9, 10
Mal 3:10

j De 7:6

k Eks 19:6

l Jes 43:10
Da 9:19
Han 15:17

m Nu 22:3
De 11:25
Jos 5:1

n De 30:9
Ps 65:9

o Ge 15:18

ninge sal oor julle kom en julle inhaal^a omdat julle na die stem van Jehovah julle God bly luister:

3 “Geseënd sal julle wees in die stad, en geseënd sal julle wees in die veld.^b

4 “Geseënd sal julle kinders,^{*c} die opbrengs van julle grond, die kleintjies van julle vee, julle kalwers en julle lamers wees.^d

5 “Geseënd sal julle mandjie^e en julle knieskottel wees.^f

6 “Geseënd sal julle wees wanneer julle inkom, en geseënd sal julle wees wanneer julle uitgaan.

7 “Jehovah sal sorg dat julle vyande wat teen julle ontstaan, voor julle verslaan word.^g Hulle sal julle vanuit een rigting aanval, maar hulle sal in sewe verskillende rigtings van julle af wegvlug.^h

8 Jehovah sal beveel dat die seën oor julle voorraadskure kom,ⁱ en oor alles wat julle aanpak, en hy sal julle beslis seën in die land wat Jehovah julle God aan julle gee. **9** Jehovah sal julle ’n heilige volk vir hom maak,^j net soos hy vir julle gesweer het,^k omdat julle aanhou om die gebooe van Jehovah julle God te gehoorsaam en sy weë te volg. **10** Al die volke van die aarde sal moet sien dat Jehovah se naam oor julle uitgeroep is,^l en hulle sal vir julle bang wees.^m

11 “Jehovah sal vir julle ’n oorvloed kinders en baie vee en vrugbare grond geeⁿ in die land wat Jehovah aan julle voorvaders met ’n eed belowe het om aan julle te gee.^o **12** Jehovah sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir julle oopmaak om julle land reën op die regte tyd te

28:4 *Lett. “die vrug van jou baarmoeder”.

gee^a en om alles te seën wat julle doen. Julle sal aan baie nasies leen, terwyl julle van niemand sal hoef te leen nie.^b **13** As julle die gebooe van Jehovah julle God bly gehoorsaam wat ek julle vandag beveel om te onderhou en uit te voer, dan sal Jehovah julle die kop maak en nie die stert nie, en julle sal bo wees^c en nie onder nie. **14** Julle mag nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel,^d deur agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.^e

15 "Maar as julle nie na die stem van Jehovah julle God luister deur al sy gebooe en sy wetsbepalings te gehoorsaam wat ek julle vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor julle kom en julle inhaal.^f

16 "Vervloek sal julle wees in die stad, en vervloek sal julle wees in die veld.^g

17 "Vervloek sal julle mandjie^h en julle knieskottel wees.ⁱ

18 "Vervloek sal julle kinders,^j die opbrengs van julle grond, julle kalwers en julle lammers wees.^k

19 "Vervloek sal julle wees wanneer julle inkom, en vervloek sal julle wees wanneer julle uitgaan.

20 "Jehovah sal die vloek, verwarring en straf oor julle bring in alles wat julle doen, totdat julle vernietig is en gou vergaan het as gevolg van julle slegte gebruike en omdat julle hom* verlaat het.^l **21** Jehovah sal die siekte aan julle laat kleef totdat hy julle uitgeroei het uit die land wat julle in besit gaan neem.^m **22** Jehovah sal julle tref met tering, brandende koors,ⁿ inflammasie,

28:18 *Lett. "die vrug van jou baarmoeder". **28:20** *Lett. "my".

HFST. 28

a Le 26:4
De 11:14

b De 15:6

c 1Kn 4:21

d De 5:32
Jos 1:7
Jes 30:21

e Le 19:4

f Le 26:16, 17
Da 9:11

g 1Kn 17:1

h De 26:2

i Le 26:26

j Klg 2:11, 19
Klg 4:10

k Le 26:20, 22

l Jos 23:16

m Le 26:25
Jer 24:10

n Le 26:16

Tweede kol.

a Le 26:33

b Am 4:9

c Le 26:19
De 11:17
1Kn 17:1

d Le 26:14, 17
1Sa 4:10

e Jer 29:18
Lu 21:24

f Jer 7:33

g Eks 4:11

h Jes 59:10

i Rig 3:14
Rig 6:1-5
Ne 9:27

j Jes 5:9
Klg 5:2

k Am 5:11
Mi 6:15

l 2Kr 29:9

koorsige hitte, die swaard,^a verskroeiende wind en swamsiektes.^b En hulle sal julle agtervolg totdat julle vergaan het. **23** Die hemel bo julle kop sal koper wees, en die aarde onder julle, yster.^c **24** Jehovah sal die reën van julle land in poeier en stof verander wat uit die hemel op julle sal val totdat julle uitgeroei is. **25** Jehovah sal maak dat julle voor julle vyande verslaan word.^d Julle sal hulle vanuit een rigting aanval, maar julle sal in sewe verskillende rigtings van hulle af wegvlug. En julle sal iets skokkends vir al die koninkryke van die aarde word.^e **26** En julle lyke sal voedsel word vir elke voël van die hemel en vir die diere van die veld, en niemand sal hulle wegjaag nie.^f

27 "Jehovah sal julle tref met die swere van Egipte, aambeie, ekseem en veluitslag, waarvan julle nie genees sal kan word nie. **28** Jehovah sal julle met malheid en blindheid^g en verwarring tref. **29** Julle sal in die middel van die dag rondtas, net soos 'n blinde man in die donker rondtas,^h en niks wat julle doen, sal suksesvol wees nie. En julle sal keer op keer uitgebuit en beroof word, en niemand sal julle red nie.ⁱ **30** Jy sal aan 'n vrou verloof raak, maar 'n ander man sal haar verkrag. Jy sal 'n huis bou, maar jy sal nie daarin woon nie.^j Jy sal 'n wingerd plant, maar jy sal dit nie begin gebruik nie.^k **31** Jou bul sal voor jou oë geslag word, maar jy sal niks daarvan eet nie. Jou donkie sal voor jou gesteel word, maar jy sal hom nie terugkry nie. Jou skaap sal aan jou vyande gegee word, maar jy sal geen redder hê nie. **32** Jou seuns en jou dogters sal aan 'n ander volk gegee word^l terwyl

jy toekyk, en jy sal altyd na hulle verlang, maar jou hande sal magteloos wees. **33** Die vrug van jou grond en jou hele opbrengrs sal geëet word deur 'n volk wat jy nie ken nie,^a en jy sal altyd uitgebuit en onderdruk word. **34** Jy sal mal word as gevolg van wat jou oë sien.

35 "Jehovah sal julle tref met pynlike en ongeneeslike swere op julle knieë en bene, van die sool van julle voet tot die kroon van julle kop. **36** Jehovah sal julle en die koning wat julle oor julle aanstel, na 'n nasie laat gaan wat nie julle of julle voorvaders geken het nie,^b en daar sal julle ander gode dien, gode van hout en van klip.^c **37** En julle sal iets skokkends en 'n bespotting word onder al die volke waarheen Jehovah julle sal laat gaan, en hulle sal op julle neersien."^d

38 "Julle sal baie saad op die landerye saai, maar julle sal min insamel,^e want die sprinkane sal dit verslind. **39** Julle sal wingerde plant en bewerk, maar julle sal geen wyn drink en niks insamel nie,^f want die wurms sal dit opeet. **40** Julle sal olyfbome in julle hele gebied hê, maar julle sal geen olie aan julle smeer nie, want julle olywe sal afval. **41** Julle sal aan seuns en dogters geboorte gee, maar hulle sal nie julle s'n bly nie, want hulle sal in gevangenskap gaan.^g **42** Swerms insekte sal op al julle bome en die vrugte van julle grond toesak. **43** Die uitlander wat onder julle woon, sal al hoe hoër bo julle uitstyg, terwyl julle al hoe laer sal daal. **44** Hy sal aan julle leen, maar julle sal nie aan hom leen nie.^h Hy sal die kop word, maar julle sal die stert word.ⁱ

28:37 *Lett. "en jy sal 'n spreekwoord word".

HFST. 28

- a Ne 9:37
Jes 1:7
- b 2Kn 17:6
2Kn 25:7
2Kr 33:11
2Kr 36:5, 6
- c Jer 16:13
- d 1Kn 9:8
2Kr 7:20
Jer 24:9
Jer 25:9
- e Jes 5:10
Hag 1:6
- f Sef 1:13
- g 2Kn 24:14
Jer 52:15, 30
- h Spr 22:7
- i Esr 9:7

Tweede kol.

- a De 28:15
De 29:27
- b 2Kn 17:20
Jer 24:10
- c De 11:26-28
- d 1Kor 10:11
- e De 12:7
Ne 9:35
- f 2Kr 12:8, 9
Jer 5:19
- g Jer 44:27
- h Jer 6:22
Hab 1:6
- i Jer 4:13
Ho 8:1
- j Jer 5:15
- k 2Kr 36:17
Jes 47:6
Lu 19:44
- l Le 26:26
Jer 15:13
- m 2Kn 17:5
2Kn 25:1
Lu 19:43

45 "Al hierdie vloeke^a sal beslis oor julle kom en julle agtervolg en julle inhaal totdat julle uitgeroei is,^b omdat julle nie na die stem van Jehovah julle God geluister het deur sy gebooe en sy wetsbepalings te gehoorsaam wat hy julle beveel het nie.^c **46** En die vloeke sal op julle en julle nageslag bly as 'n permanente teken en waarskuwing vir almal^d **47** omdat julle Jehovah julle God nie met blydschap en vreugde van hart gedien het toe julle 'n oorvloed van alles gehad het nie.^e **48** Jehovah sal julle vyande teen julle stuur, en julle sal hulle dien^f terwyl julle honger^g en dors is en nie genoeg klere het om aan te trek nie en 'n gebrek aan alles het. Hy sal 'n ysterjuk op julle nek sit totdat hy julle uitgeroei het.

49 "Jehovah sal 'n nasie van ver af teen julle bring,^h van die einde van die aarde af. Hulle sal vinnig aanval soos 'n arend,ⁱ 'n nasie wie se taal julle nie sal verstaan nie.^j **50** 'n nasie met 'n wrede voorkoms, wat geen respek vir die oumense sal hê en geen genade aan die jongmense sal betoon nie.^k **51** Hulle sal die kleintjies van julle vee en die vrugte van julle grond eet totdat julle uitgeroei is. Hulle sal vir julle geen graan, nuwe wyn of olie, kalwers of lammers laat oorbly nie, totdat hulle julle vernietig het.^l **52** Hulle sal julle in al julle stede* regdeur julle land aanval en julle daarin toesluit totdat julle hoë en versterkte mure waarop julle vertrou, val. Ja, hulle sal julle beslis beleër in al julle stede regdeur julle land wat Jehovah julle God aan julle gegee het.^m **53** Die beleëring en die ramspoed wat julle vyand oor julle sal bring, sal so

28:52 *Lett. "poorte".

erg wees dat julle julle eie kinders* sal moet eet, die vlees van julle seuns en julle dogters^a wat Jehovah julle God aan julle gee het.

54 "Selfs die sagste en sensitiefste man onder julle sal glad nie jammer voel vir sy broer of sy geliefde vrou of sy seuns wat oorbly nie, **55** en hy sal nie 'n stukkie van die vlees van sy seuns wat hy sal eet, met hulle deel nie, want hy sal niks anders hê nie omdat die beleëring en die ramspoed wat julle vyand oor julle stede sal bring, so erg sal wees.^b **56** En die delikate en sensitiewe vrou onder julle wat nooit eers daaraan gedink het om haar voetsool op die grond te sit nie omdat sy so delikaat is,^c sal glad nie jammer voel vir haar geliefde man of haar seun of haar dogter nie, **57** want sy sal nie die nageboorte wat tussen haar bene uitkom en die kinders waaraan sy geboorte gegee het, met hulle deel nie. Sy sal alles in die geheim eet omdat die beleëring en die ramspoed wat julle vyand oor julle stede sal bring, so erg sal wees.

58 "As julle nie al die woorde van hierdie Wet streng gehoorsaam wat in hierdie boek geskryf is^d en nie hierdie glorie-ryke en ontsagwekkende naam,^e dié van Jehovah^f julle God, vrees nie, **59** dan sal Jehovah verskriklike plaë oor julle en julle nageslag bring, groot en langdurige plaë,^g en pynlike en langdurige siektes. **60** Hy sal al die siektes van Egipte waarvoor julle bang was, weer oor julle bring, en dit sal beslis aan julle kleef. **61** Wat meer is, Jehovah sal selfs elke siekte en plaag oor julle bring wat nie in

28:53 *Lett. "die vrug van jou baarmoeder".

HFST. 28

a 2Kn 6:28
Klg 4:10
Ese 5:10

b Jer 52:6

c Klg 4:5

d Eks 24:7
De 31:26

e De 10:17
Ps 99:3

f Eks 3:15
Eks 6:3
Eks 20:2
Ps 83:18
Ps 113:3
Jes 42:8

g Le 26:21
Da 9:12

Tweede kol.

a De 10:22

b De 4:27

c Le 26:33
Ne 1:8
Lu 21:24

d De 4:27, 28

e Am 9:4

f Ese 12:19

g Le 26:16, 36

DEUTERONOMIUM 28:54-29:1

die boek van hierdie Wet geskryf is nie totdat julle uitgeroei is. **62** Hoewel julle so baie soos die sterre van die hemel geword het,^a sal baie min van julle oorbly^b omdat julle nie na die stem van Jehovah julle God geluister het nie.

63 "En net soos dit vir Jehovah eers 'n vreugde was om julle voorspoedig te maak en julle te laat vermeerder, so sal dit vir Jehovah 'n vreugde wees om julle te vernietig en uit te roei. En julle sal weggeruk word uit die land wat julle in besit sal neem.

64 "Jehovah sal julle onder al die nasies verstrooi, van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde,^c en daar sal julle gode van hout en van klip moet dien wat nie julle of julle voorvaders geken het nie.^d **65** Julle sal geen vrede onder daardie nasies hê nie,^e en ook nie 'n rusplek vir julle voete nie. Jehovah sal julle daar eerder 'n angstige hart^f en swak oë en 'n gevoel van hopeloosheid gee.^g **66** Julle lewe sal in groot gevaar wees, en julle sal dag en nag bang voel. En julle sal nie van julle lewe seker wees nie. **67** In die oggend sal julle sê: 'As dit maar net aand was!' En in die aand sal julle sê: 'As dit maar net oggend was!' as gevolg van die vrees in julle hart en as gevolg van wat julle oë sal sien. **68** En Jehovah sal julle beslis met skepe na Egipte terugbring met die pad waarvan ek vir julle gesê het: 'Julle sal dit nooit weer sien nie'. En julle sal julle daar as slawe en slavinne aan julle vyande moet verkoop, maar daar sal niemand wees om julle te koop nie."

29 Dit is die woorde van die verbond wat Jehovah Moses beveel het om met die Israëliete te maak in die land Moab,

bo en behalwe die verbond wat hy met hulle by Horeb gemaak het.^a

2 Moses het toe die hele Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Julle het alles gesien wat Jehovah voor julle oë in Egipte aan Farao en al sy knegte en sy hele land gedoen het,^b

3 die groot oordele* wat julle met julle eie oë gesien het, daardie groot tekens en wonderwerke.^c **4** Maar tot vandag toe het Jehovah nie vir julle 'n hart gegee wat verstaan en oë wat sien en ore wat hoor nie.^d **5** 'Terwyl ek julle 40 jaar lank in die wildernis gelei het,^e het die kleure en sandale wat julle gedra het, nie stukkend geword nie.^f

6 Julle het nie brood geëet en julle het nie wyn of enige ander alkohol gedrink nie, sodat julle kon weet dat ek Jehovah julle God is.' **7** Julle het uiteindelik by hierdie plek gekom, en Sihon, die koning van Hesbon,^g en Og, die koning van Basan,^h het uitgekom om teen ons te veg, maar ons het hulle verslaan.ⁱ

8 Daarna het ons hulle land geneem en dit as 'n erfdeel aan die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manasse gegee.^j **9** Julle moet dus die woorde van hierdie verbond onderhou en gehoorsaam wees daaraan, sodat alles wat julle doen, suksesvol sal wees.^k

10 "Julle almal staan vandag voor Jehovah julle God: die hoofde van julle stamme, julle ouermanne, julle beamptes, elke man van Israel, **11** julle kinders, julle vrouens^l en die uitlanders^m wat in julle kamp woon, van die persoon wat hout bymekaarmaak tot die waterdraer. **12** Julle is hier om in te stem tot die verbond van Jeho-

29:3 *Of "beproevinge".

HFST. 29

a Eks 24:8

b Eks 19:4
Jos 24:5

c De 4:34
Ne 9:10

d Ro 11:8

e De 1:3
De 8:2

f De 8:4
Ne 9:21
Mt 6:31

g Nu 21:26

h Nu 21:33

i Ps 135:10, 11

j Nu 32:33
De 3:12, 13

k De 4:6
De 8:18
Jos 1:7, 8
1Kn 2:3
Ps 103:17, 18
Lu 11:28

l Ne 8:2

m Eks 12:38

Tweede kol.

a De 1:3
De 29:1

b Eks 19:5
De 7:6
De 28:9

c Eks 6:7
Eks 29:45

d Ge 17:1, 7
Ge 22:16, 17

e Ge 26:3

f Ge 28:13

g De 2:4

h Nu 25:1, 2

i De 11:16
Heb 3:12

j Heb 12:15

k Jos 24:19

vah julle God wat Jehovah julle God vandag deur middel van 'n eed met julle maak,^a **13** sodat hy julle vandag sy volk kan maak^b en sodat hy julle God kan wees,^c net soos hy julle belowe het en net soos hy vir julle voorvaders, Abraham,^d Isak^e en Jakob,^f gesweer het.

14 "En dit is nie net met julle wat ek hierdie verbond maak deur middel van hierdie eed nie, **15** maar dit is met diegene wat vandag hier saam met ons voor Jehovah ons God staan sowel as met diegene wat nie vandag hier saam met ons is nie. **16** (Want julle weet goed hoe ons in Egipte gewoon het en hoe ons gedurende ons reis tussen verskillende nasies deurgetrek het.^g

17 En julle het hulle afskuwelike dinge gesien en hulle walglike afgode*^h wat onder hulle was, afgode van hout en klip, silwer en goud.) **18** Pasop dat daar nie vandag onder julle 'n man of 'n vrou, 'n familie of 'n stam is wie se hart van Jehovah ons God afwyk om die gode van daardie nasies te gaan dien nie,ⁱ sodat daar nie onder julle 'n wortel mag wees wat giftige vrugte en ook als* dra nie.^j

19 "Maar as iemand die woorde van hierdie eed hoor en in sy hart spog en sê: 'Ek sal vrede geniet, hoewel ek hardkoppig aanhou om die eed van my eie hart te volg,' en hy sodoende 'n spoor van vernietiging agterlaat,* **20** sal Jehovah nie bereid wees om hom te vergewe nie.^k Jehovah sal eerder woedend word vir

29:17 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. **29:18** *'n Soort bitter plant. **29:19** *Lett. "die een wat goed natgemaak is sowel as die droë een wegvee".

daardie man, en die hele vloek wat in hierdie boek geskryf is, sal beslis oor hom kom,^a en Jehovah sal sy naam inderdaad onder die hemel uitwis. **21** Jehovah sal hom dan van al die stamme van Israel afsonder sodat rampspoed hom kan tref volgens die hele vloek van die verbond wat in hierdie Wetboek geskryf is.

22 "Wanneer die toekomstige geslag van julle kinders en die uitlander van 'n verre land die plaes van die land sien, die siektes wat Jehovah daaroor gebring het - **23** swael en sout en veldbrande, sodat geen deel van die land besaai sal word en niks sal uitspruit en geen plante daarin sal groei nie, soos die verwoesting van Sodom en Gomor'ra,^b Adma en Sebo'jim,^c wat Jehovah in sy groot woede verwoes het - **24** dan sal hulle en al die nasies vra: 'Hoekom het Jehovah dit aan hierdie land gedoen?'^d Wat was die oorsaak van hierdie groot, brandende woede?' **25** Dan sal hulle sê: 'Dit was omdat hulle die verbond van Jehovah,^e die God van hulle voorvaders, verlaat het, wat hy met hulle gemaak het toe hy hulle uit Egipte uitgelei het.' **26** Maar hulle het ander gode gaan dien en voor hulle neergebui, gode wat hulle nie geken het nie en wat hy gesê het hulle nie mag aanbid nie.^g **27** Toe het Jehovah se woede teen daardie land opgevlam, en hy het die hele vloek daaroor gebring wat in hierdie boek geskryf is.^h **28** Daarom het Jehovah hulle in sy groot woedeⁱ en groot verontwaardiging uit hulle land uitgeruk en hulle na 'n ander land weggeneem, waar hulle vandag nog is.^j

29 "Die geheime dinge behoort aan Jehovah ons God,^k

HFST. 29

a De 27:26

De 28:15

b Ge 19:24

Jud 7

c Ge 10:19

Ge 14:2

d 1Kn 9:8, 9

2Kr 7:21, 22

Jer 22:8, 9

e 1Kn 19:10

f Jer 31:32

g Rig 2:12

h Le 26:16

De 27:26

i De 28:45, 63

1Kn 14:15

2Kn 17:18

Lu 21:24

j Esr 9:7

Da 9:7

k Ro 11:33

Tweede kol.

a Ps 78:5

Pr 12:13

HFST. 30

b De 11:26-28

De 28:2, 15

c 1Kn 8:47

Ne 1:9

Ese 18:28

Jl 2:13

d 2Kn 17:6

2Kr 36:20

e Jes 55:7

1Jo 1:9

f De 4:29

g Jer 29:14

h Klg 3:22

i Esr 1:2, 3

Ps 147:2

Jer 32:37

Ese 34:13

j De 28:64

Sef 3:20

k Ne 1:9

l Jer 32:37, 39

m De 6:5

n Ge 12:2, 3

Jer 25:12

Klg 3:64

Ro 12:19

DEUTERONOMIUM 29:21-30:9

maar die geopenbaarde dinge behoort vir ewig aan ons en ons nakomelinge, sodat ons al die woorde van hierdie Wet kan uitvoer.^a

30 "Wanneer al hierdie dinge oor julle kom, die seën en die vloek, wat ek aan julle voorgelê het,^b en julle weer daaraan terugdink^c in al die nasies waarheen Jehovah julle God julle verstrooi het,^d **2** en julle tot Jehovah julle God terugkeer^e en na sy stem luister volgens alles wat ek julle vandag beveel, julle en julle kinders, met julle hele hart en julle hele siel,^f **3** dan sal Jehovah julle God julle gevangenes terugbring^g en genadig wees teenoor julle^h en julle weer bymekaarmaak uit al die volke waarheen Jehovah julle God julle verstrooi het.ⁱ

4 Selfs al is julle tot aan die einde van die aarde verstrooi, sal Jehovah julle God julle daarvandaan bymekaarmaak en julle terugbring.^j **5** Jehovah julle God sal julle in die land inbring wat julle vaders in besit geneem het, en julle sal dit besit. En hy sal sorg dat dit met julle goed gaan en hy sal julle meer laat word as julle vaders.^k

6 Jehovah jou God sal jou hart en die hart van jou nageslag reinig,^l sodat jy Jehovah jou God met jou hele hart en jou hele siel* sal liefhê en sodat jy kan lewe.^m **7** Dan sal Jehovah julle God al hierdie vloeke bring oor julle vyande, deur wie julle gehaat en vervolgs is.ⁿ

8 "Julle sal dan terugkeer en na die stem van Jehovah luister en al sy gebooe gehoorsaam wat ek julle vandag beveel. **9** Jehovah julle God sal

30:1 *Lett. "en jy dit na jou hart terugbring". **30:2, 6** *Sien Woordelys. **30:6** *Lett. "besny".

julle baie voorspoedig maak in alles wat julle doen.^a Hy sal julle kinders en julle vee en die opbrengs van julle grond laat vermeerder, want dit sal weer vir Jehovah 'n vreugde wees om julle voorspoedig te maak, net soos dit vir hom 'n vreugde was om julle voorvaders voorspoedig te maak.^b **10** Want dan sal julle na die stem van Jehovah julle God luister en sy gebooië en wetsbepalings gehoorsaam wat in hierdie Wetboek geskryf is, en julle sal met julle hele hart en julle hele siel* na Jehovah julle God terugkeer.^c

11 "En hierdie gebod wat ek julle vandag beveel, is nie te moeilik vir julle nie, en dit is ook nie vir julle onbereikbaar nie.*^d **12** Dit is nie in die hemel, sodat julle moet sê: 'Wie sal na die hemel opvaar en dit vir ons gaan haal, sodat ons dit kan hoor en kan uitvoer?' nie.^e **13** Dit is ook nie aan die oorkant van die see, sodat julle moet sê: 'Wie sal na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan haal, sodat ons dit kan hoor en kan uitvoer?' nie. **14** Want die woord is baie naby julle, in julle eie mond en in julle eie hart,^f sodat julle dit kan doen.^g

15 "Kyk, ek gee julle vandag 'n keuse: die lewe en wat goed is of die dood en wat sleg is.^h **16** As jy luister na die gebooië van Jehovah jou God wat ek jou vandag beveel, deur Jehovah jou God lief te hê,ⁱ deur sy wêë te volg en deur sy gebooië en sy wetsbepalings en sy regterlike bevel te gehoorsaam, dan sal jy lewe^j en vermeerder, en Jehovah jou God sal jou seën in die land wat jy gaan besit.^k

30:10 *Sien Woordelys. **30:11** *Lett. "en dit is ook nie ver weg nie".

HFST. 30

- a Jes 65:21, 22
Mal 3:10
b Jer 32:37, 41
c Ne 1:9
Han 3:19
d Jes 45:19
e Ro 10:6
f Ro 10:8
g Mt 7:21
Jak 1:25
h De 11:26
i De 6:5
j Le 18:5
k Le 25:18
De 30:5

Tweede kol.

- a De 29:18
Heb 3:12
b De 4:19
c De 8:19
Jos 23:15
1Sa 12:25
d De 11:26
De 27:26
De 28:2, 15
e De 32:47
f Jos 24:15
g De 10:12
h De 4:4
i Ge 12:7
Ge 15:18

HFST. 31

- j Eks 7:7
De 34:7
Han 7:23
k Nu 20:12
De 3:27
l De 9:3
m Nu 27:18
De 3:28
Jos 1:2
n Nu 21:23, 24
o Nu 21:33, 35
p Eks 23:23
q Nu 33:52
De 7:2, 24
De 20:16
r Jos 1:6
Ps 27:14
Ps 118:6

17 "Maar as jou hart afwyk^a en jy nie luister nie, en jy verlei word en voor ander gode neerbuig en hulle dien,^b **18** dan sê ek vandag vir jou dat jy sekerlik sal sterf.^c Jy sal nie lank lewe in die land wat jy gaan besit nadat jy deur die Jordaanrivier getrek het nie. **19** Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle, dat ek jou tussen die lewe en die dood laat kies, tussen die seën en die vloek.^d En jy moet die lewe kies sodat jy kan lewe,^e jy en jou nageslag,^f **20** deur Jehovah jou God lief te hê,^g deur na sy stem te luister en deur lojaal aan hom te bly,^h want hy is jou lewe en deur middel van hom sal jy 'n lang tyd in die land kan woon wat Jehovah aan julle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, met 'n eed belowe het om aan hulle te gee.ⁱ

31 Toe het Moses uitgegaan en hierdie woorde aan die hele Israel oorgedra **2** en vir hulle gesê: "Ek is vandag 120 jaar oud.^j Ek kan julle nie meer lei nie* omdat Jehovah vir my gesê het: 'Jy sal nie deur hierdie Jordaanrivier trek nie.'^k **3** Jehovah julle God trek voor julle deur, en hy sal hierdie nasies voor julle vernietig, en julle sal hulle verdryf.^l Josua sal voor julle deurtrek en julle lei,^m net soos Jehovah gesê het. **4** Jehovah sal met hulle doen net soos hy met Sihonⁿ en Og,^o die konings van die Amoriete, en met hulle land gedoen het toe hy hulle vernietig het.^p **5** Jehovah sal hulle vir julle verslaan, en julle moet aan hulle doen volgens die hele gebod wat ek julle gegee het.^q **6** Wees moedig en sterk.^r Moet

31:2 *Lett. "Ek kan nie meer uitgaan en inkom nie".

hulle nie vrees nie en moenie vir hulle bang wees nie,^a want Jehovah julle God trek saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat of julle verlaat nie.”^b

7 Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom voor die oë van die hele Israel gesê: “Wees moedig en sterk,^c want jy sal hierdie volk in die land inbring wat Jehovah aan hulle voorvaders met ’n eed belowe het om aan hulle te gee, en jy sal dit aan hulle as ’n erfdeel gee.”^d **8** Jehovah gaan voor jou uit, en hy sal voortdurend met jou wees.^e Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang wees of vrees nie.”^f

9 Toe het Moses hierdie Wet neergeskryf^g en dit gegee aan die priesters, die Leviete, wat die ark van Jehovah se verbond dra, en aan al die ouermanne van Israel. **10** Moses het hulle die volgende bevele gegee en gesê: “Aan die einde van elke sewe jaar, op die vasgestelde tyd van die jaar wanneer skuld afgeskryf word,^h gedurende die Huttefees,ⁱ **11** wanneer die hele Israel voor Jehovah julle God verskyn^j op die plek wat hy uitkies, moet julle hierdie Wet lees sodat die hele Israel dit kan hoor.”^k **12** Laat die volk bymekaarkom,^l die mans, die vrouens, die kinders en die uitlanders wat in julle stede* woon sodat hulle na Jehovah julle God kan luister, van hom kan leer, hom kan vrees en kan seker maak dat hulle al die woorde van hierdie Wet gehoorsaam. **13** Dan sal hulle kinders wat nie hierdie Wet geken het nie, luister^m en leer om Jehovah julle God te vrees al die dae wat julle in die land woon wat julle

31:10 *Of “Fees van Tydelike Skuilings”. **31:12** *Lett. “poorte”.

HFST. 31

a Nu 14:9

De 7:18

b De 4:31

Jos 1:5

Heb 13:5

c Jos 10:25

d De 1:38

e Eks 33:14

f Jos 1:9

g Eks 34:27

h De 15:1

i Le 23:34

j De 16:16

k Ne 8:7

l De 4:10

Heb 10:25

m De 6:6, 7

Ef 6:4

Tweede kol.

a De 30:16

b Nu 27:13

c De 3:28

d Eks 33:9

Eks 40:38

e Rig 2:17

Ps 106:37-39

f 1Kn 11:33

g Rig 2:12, 20

h De 29:20

i 1Kr 28:9

2Kr 15:2

2Kr 24:20

j De 32:20

Ps 104:29

Ese 39:23

k Ne 9:27

l Rig 6:13

m Jes 59:2

n De 31:30

De 32:44

o De 4:9

De 11:19

p De 31:21

q Ge 15:18

gaan besit nadat julle deur die Jordaanrivier getrek het.”^a

14 Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Kyk! Die tyd vir jou om te sterf, het nader gekom.^b Roep Josua en gaan staan saam met hom* by die tent van samekoms, sodat ek hom as leier kan aanstel.”^c Moses en Josua het toe by die tent van samekoms gaan staan. **15** Toe het Jehovah by die tent in die wolkkolom verskyn, en die wolkkolom het by die ingang van die tent gaan staan.^d

16 Jehovah het toe vir Moses gesê: “Jy gaan nou sterf,* en hierdie volk sal die vreemde gode begin aanbid^e wat in die land is waarheen hulle gaan.^e Hulle sal my verlaat^f en my verbond verbreek wat ek met hulle gemaak het.^g **17** Dan sal my woede teen hulle opvlam,^h en ek sal hulle verlaatⁱ en my gesig van hulle af wegdraai,^j totdat hulle verslind is. En nadat baie rampspoed oor hulle gekom het en hulle baie swaargekry het,^k sal hulle sê: ‘Het hierdie rampspoed nie oor ons gekom omdat ons God nie by ons is nie?’^l **18** Maar op daardie dag sal ek my gesig wegdraai as gevolg van al die goddelose dinge wat hulle gedoen het toe hulle ander gode aanbid het.”^m

19 “Skryf dan nou vir julle hierdie lied neerⁿ en leer dit vir die Israeliete.^o Laat hulle dit leer* sodat hierdie lied as my getuie teen die Israeliete kan dien.^p **20** Wanneer ek hulle inbring in die land wat ek aan hulle voorvaders met ’n eed belowe het^q – ’n land wat oorloop

31:14 *Of “neem julle plekke in”. **31:16** *Lett. “by jou vaders rus”. ^aOf “sal geestelike prostitusie begin pleeg met die vreemde gode”. **31:19** *Lett. “Sit dit in hulle monde”.

van melk en heuning^a – en hulle eet en versadig word en dit met hulle goed gaan,^{*b} sal hulle op ander gode vertrou en hulle dien en my sonder respek behandel en my verbond verbreek.^c **21** Wanneer baie ramspoed oor hulle gekom het en hulle baie swaargekry het,^d dan sal hierdie lied teen hulle getuig (want hulle nageslag moet dit nie vergeet nie), want ek weet goed watter neiging hulle ontwikkel^e selfs voordat ek hulle in die land inbring wat ek hulle met 'n eed belowe het.”

22 Toe het Moses op daardie dag hierdie lied neergeskryf en dit vir die Israëliete geleer.

23 Hy* het Josua,^f die seun van Nun, toe as leier aange- stel en gesê: “Wees moedig en sterk,^g want jy sal die Israëliete in die land inbring wat ek met 'n eed aan hulle belowe het,^h en ek sal met jou wees.”

24 Nadat Moses al die woorde van hierdie Wet in 'n boek neergeskryf het,ⁱ **25** het Moses die Leviete, wat die ark van Jehovah se verbond dra, die volgende bevel gegee en gesê: **26** “Julle moet hierdie Wetboek/ neem en dit langs die ark^k van die verbond van Jehovah julle God neersit, en daar sal dit as 'n getuie teen julle dien. **27** Want ek weet goed dat julle opstandig^l en hardkoppig^m is. As julle so opstandig teen Jehovah is terwyl ek nog lewe en by julle is, hoeveel opstandiger sal julle dan nie ná my dood wees nie! **28** Laat al die ouerманne van julle stamme en al julle beamp- tes by my bymekaarkom, so- dat ek hierdie woorde vir hulle kan sê, en laat ek die hemel en

31:20 *Lett. “en hulle vet word”.
31:23 *Blykbaar God.

HFST. 31

- a Eks 3:8
Nu 13:26, 27
b Ne 9:25
c Eks 24:7
De 8:12-14
De 29:1
Ne 9:26
d De 28:59
e Eks 16:4
f Nu 27:18
De 31:14
g Jos 1:6, 9
h De 1:38
De 3:28
i Eks 34:27
j De 17:18
2Kr 34:14
k 1Kn 8:9
l De 9:24
Ne 9:26
m Eks 32:9
Ps 78:8

Tweede kol.

- a De 30:19
b Rig 2:19
c De 28:15
d De 32:44

HFST. 32

- e Joh 17:26
f 1Kr 29:11
Ps 145:3
g 2Sa 22:31
Ps 18:2
Ps 19:7
Jak 1:17
h Ps 33:5
i De 7:9
1Pe 4:19
j De 25:16
k Ge 18:25
l De 31:27
Rig 2:19
Ps 14:1
m Jes 1:4
n Ps 78:8
Lu 9:41
o Jes 1:2
p Jer 4:22
q Eks 4:22
De 32:18
Jes 63:16

die aarde as getuies teen hulle neem.^a **29** Want ek weet goed dat julle ná my dood goddeloos sal optree^b en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het. En aan die einde van die dae sal ramspoed vir seker oor julle kom^c omdat julle sal doen wat sleg is in die oë van Jehovah en hom aanstoot sal gee met die werk van julle hande.”

30 Toe het Moses die woorde van hierdie lied, van begin tot einde, voor die hele gemeen- te van Israel opgesê:^d

32 “Luister, o hemele, en ek sal praat, en laat die aarde die woorde van my mond hoor.

- 2** My onderrigting sal val soos die reën, my woorde sal drup soos die dou, soos sagte reën op die gras en soos oorfloedige reën- buie op die plante.
- 3** Want ek sal die naam van Jehovah bekend maak.^e Verkondig die grootheid van ons God!^f
- 4** Die Rots, volmaak is sy werk,^g want al sy weë is geregtigheid.^h 'n God van getrouheid,ⁱ wat nooit onregverdig is nie,^j regverdig en reg is hy.^k
- 5** Hulle het goddeloos opgetree.^l Hulle is nie sy kinders nie, die fout lê by hulle.^m Hulle is 'n oneerlike en verdraaide geslag!ⁿ
- 6** Is dit hoe julle Jehovah moet behandel,^o o onverstandige en onwyse volk?^p Is hy nie julle Vader wat julle geskep het,^q

die Een wat julle gemaak en stewig gevestig het nie?

- 7** Onthou die dae van ouds, dink terug aan die jare van vorige geslagte.
Vra jou pa, en hy kan vir jou vertel,^a
julle ouermanne, en hulle sal vir julle sê.
- 8** Toe die Allerhoogste aan die nasies hulle erfdeel gegee het,^b
toe hy die kinders van Adam* van mekaar geskei het,^c
het hy die grens van die volke vasgestel^d
volgens die getal van die kinders van Israel.^e
- 9** Want Jehovah se volk is sy deel,^f
Jakob is sy erfdeel.^g
- 10** Hy het hom in 'n woeste land gevind,^h
en in 'n leë, huilende woestyn.ⁱ
Hy het hom met sy beskerming omring, vir hom gesorg^j
en hom bewaar soos die appel van sy oog.^k
- 11** Net soos 'n arend haar kleintjies leer om te vlieg, oor haar kleintjies sweef, haar vlerke uitsprei, hulle opneem,
hulle op haar vlerkvere dra,^l
- 12** het net Jehovah hom* bly lei.^m
Daar was geen vreemde god by hom nie.ⁿ
- 13** Hy het hom op die aarde se hoogtes laat ry^o
en hom die opbrengs van die veld laat eet.^p
Hy het hom gevoed met heuning uit die groot rots, met olie uit 'n vuurkliprots,

32:8 *Of moontlik "die menserasse".
32:12 *D.w.s. Jakob.

HFST. 32

- a Eks 13:14
Ps 44:1
- b Ge 10:5
Ps 115:16
- c Ge 11:9
- d De 2:5, 19
Han 17:26
- e Ge 15:18
Eks 23:31
- f Eks 19:5
De 7:6
- g Ps 78:71
- h De 8:14, 15
- i Jer 2:6
- j Ne 9:19, 20
- k Sag 2:8
- l Eks 19:4
- m De 1:31
- n Jes 43:12
- o De 33:29
- p De 8:7, 8

Tweede kol.

- a Ps 147:14
- b De 31:20
Ne 9:25
- c Jes 1:4
Ho 13:6
- d Rig 2:12
1Kn 14:22
1Kor 10:21, 22
- e 2Kn 23:13
Ese 8:17
- f Le 17:7
Ps 106:37
1Kor 10:20
- g Ps 106:21
Jes 17:10
Jer 2:32
- h De 4:34
- i Rig 2:14
Ps 78:59
- j De 31:17

DEUTERONOMIUM 32:7-20

- 14** met botter van die beeste en melk van die kleinvee, met die beste* skape, met skaapramme van Basan, met bokramme en met die beste[#] koring.^a
En julle het wyn van die bloed[^] van druiwe gedrink.
- 15** Toe Jesu'run* vet begin word het, het hy opstandig geraak en geskop.
Ja, jy het vet geword, jy het dik geword, jy het jou ooreet.^b
Daarom het hy God, wat hom gemaak het, verlaat^c
en geen respek vir die Rots van sy redding getoon nie.
- 16** Hulle het hom woedend gemaak met vreemde gode.^d
Hulle het hom aanstoot gegee met afskuwelike dinge.^e
- 17** Hulle het aan demone geoffer, nie aan God nie,^f
aan gode wat hulle nie geken het nie,
nuwes wat onlangs aangekom het,
aan gode wat julle voorvaders nie geken het nie.
- 18** Julle het die Rots wat julle Vader geword het, vergeet,^g
en julle het nie die God wat aan julle geboorte gegee het, onthou nie.^h
- 19** Toe Jehovah dit sien, het hy hulle verwerpⁱ
omdat sy seuns en sy dogters hom aanstoot gegee het.
- 20** Daarom het hy gesê: 'Ek sal my gesig van hulle af wegdraai.'^j

32:14 * Lett. "die vet van". [#] Lett. "die niervet van". [^] Of "sap". **32:15** * 'n Eretitel vir Israel wat "die opregte" beteken.

Ek sal sien wat van hulle gaan word.

Want hulle is 'n slegte geslag,^a

kinders in wie daar geen getrouheid is nie.^b

- 21** Hulle het my woedend* gemaak met iets wat nie 'n god is nie.^c

Hulle het my aanstoot gegee met hulle waardelose afgode.^d

Daarom sal ek hulle jaloers maak met dit wat nie 'n volk is nie.^e

Ek sal hulle aanstoot gee met 'n dwase nasie.^f

- 22** Want my woede het 'n vuur aangesteek^g

wat tot in die dieptes van die Graf^{f*h} sal brand, en dit sal die aarde en sy opbrengs verteer en die fundamente van berge aan die brand steek.

- 23** Ek sal die een ramp ná die ander oor hulle laat kom. Ek sal al my pyle op hulle afskiet.

- 24** Hulle sal uitgeput wees van die hongerⁱ en verteer word deur brandende koors en bittere vernietiging.^j

Ek sal die tande van diere teen hulle stuur,^k en die gif van reptiele van die stof.

- 25** Buite sal 'n swaard hulle van kinders beroof.^l Binne is daar vrees^m vir jong man sowel as maagd, klein kindjie sowel as bejaarde.ⁿ

- 26** Ek sou gesê het: "Ek sal hulle verstrooi.

HFST. 32

- a De 32:5
Jes 65:2
Mt 17:17
b Jes 1:2
c Ps 96:5
1Kor 10:21, 22
d 1Sa 12:10, 21
e Ho 2:23
Ro 9:25
Ro 11:11
1Pe 2:10
f Ro 10:19
g Klg 4:11
h Am 9:2
i De 28:53
j De 28:21, 22
k Le 26:22
l Klg 1:20
m Ese 7:15
n 2Kr 36:17
Klg 2:21

Tweede kol.

- a 1Sa 12:22
Ese 20:14
b Eks 32:12
Nu 14:15, 16
c Ps 115:2
d Mt 13:15
e Ps 81:13
f Ho 14:9
g Jer 2:19
h 2Kr 24:24
i Rig 2:14
1Sa 12:9
j 1Sa 2:2
k Eks 14:25
1Sa 4:8
Esr 1:2, 3
l Jud 7
m Jes 5:4
Jer 2:21
n Ro 2:5
o Na 1:2
Ro 12:19
Heb 10:30

Ek sal seker maak dat niemand hulle onthou nie,"

- 27** maar ek was bang vir die vyand se reaksie,^a want die vyand sou dit dalk misverstaan.^b Hulle sou dalk sê: "Danksy ons krag het ons oorwin.^c Dit was nie Jehovah wat dit alles gedoen het nie."

- 28** Want hulle is 'n nasie sonder verstand,^{*} en daar is geen begrip onder hulle nie.^d

- 29** As hulle maar net wys was!^e Dan sou hulle hieroor nadink.^f

Hulle sou dink oor wat hulle uiteinde sal wees.^g

- 30** Hoe kan een mens 1 000 agternasit, en twee mense 10 000 laat vlug?^h

Nie tensy hulle Rots hulle verkoop hetⁱ en Jehovah hulle oorgelewer het nie.

- 31** Want hulle rots is nie soos ons Rots nie,^j selfs ons vyande het dit besef.^k

- 32** Want hulle wingerdstok is uit die wingerdstok van Sodom

en uit die terrasse van Gomor'ra.^l Hulle druiwe is giftige druiwe, hulle trosse is bitter.^m

- 33** Hulle wyn is die gif van slange, die wrede gif van kobras.

- 34** Is al hierdie dinge nie by my bewaar en in my stoorkamer verseël nie?ⁿ

- 35** Die wraak is myne, en die straf,^o

32:21 *Of "jaloers". 32:22 *Of "Sjool". Sien Woordelys.

32:28 *Of moontlik "wat doof is vir raad".

op die vasgestelde tyd wanneer hulle voet gly.^a

Want die dag van hulle ongeluk is naby, en wat op hulle wag, sal gou kom.^g

36 Want Jehovah sal sy volk oordeel,^b en hy sal jammer voel vir* sy knegte^c wanneer hy sien dat hulle krag minder geword het en dat net die hulpeloses en swakkes oorbly.

37 Dan sal hy sê: 'Waar is hulle gode,^d die rots by wie hulle beskerming gesoek het,

38 wat die vet van hulle offerandes geëet het,* wat die wyn van hulle drankoffers gedrink het?^e Laat hulle opstaan en julle help. Laat hulle vir julle as 'n beskerming dien.

39 Besef nou dat ek God is,^f en daar is geen ander God as ek nie.^g Ek maak dood en ek maak lewend.^h

Ek wond' en ek sal genees,ⁱ en niemand kan uit my hand red nie.^k

40 Want ek lig my hand op na die hemel, en ek sweer: "So waar as wat ek vir ewig lewe."^l

41 wanneer ek my glinsterende swaard skerp maak en my hand gereedmaak om te oordeel,^m sal ek wraak neem op my vyandeⁿ en diegene straf wat my haat.

32:36 *Of "spyt voel oor". **32:38** *Of "wat hulle heel beste offerandes geëet het".

HFST. 32

a Ps 73:12, 18

b Heb 10:30

c Rig 2:18
Ps 90:13
Ps 106:45
Ps 135:14

d Rig 10:14

e Ho 2:8
1Kor 10:20, 21

f Jes 41:4
Jes 48:12

g De 4:35

h 1Sa 2:6
Ps 68:20

i 2Kr 21:16, 18

j Nu 12:13
Jer 17:14

k Jes 43:13

l 1Ti 1:17
Op 10:5, 6

m Na 1:3

n Jes 1:24
Jes 59:18

Tweede kol.

a Ge 12:2, 3
1Kn 8:43
Ro 3:29
Ro 15:10

b 2Kn 9:7
Op 6:10

c Mi 5:15

d Op 15:3

e Nu 11:28
De 31:22, 23

f De 11:18

g De 6:6, 7

h Le 18:5
De 30:19
Ro 10:5

i De 34:1

j Nu 27:12

k Ge 10:19
Ge 15:18
Jos 1:3

42 Ek sal my pyle dronk maak van die bloed, en my swaard sal vlees eet: die bloed van dié wat doodgemaak is en die gevangesnes, die koppe van die leiers van die vyand.^g

43 Wees bly, o nasies, saam met sy volk,^a want hy sal die bloed van sy knegte wreek,^b en hy sal wraak neem op sy vyande^c en versoening doen vir die land van sy volk."^g

44 So het Moses al die woorde van hierdie lied voor die volk opgesê,^d hy en Hose'a,^e die seun van Nun. **45** Nadat Moses al hierdie woorde aan die hele Israel oorgedra het, **46** het hy vir hulle gesê: "Neem al die woorde van die waarskuwing wat ek julle vandag gee,^f ter harte sodat julle julle kinders kan beveel om al die woorde van hierdie Wet streng te gehoorsaam.^g **47** Want dit is nie vir julle leë woorde nie, maar julle lewe hang daarvan af,^h en deur middel van hierdie woorde sal julle lank kan lewe in die land wat julle gaan besit nadat julle deur die Jordaanrivier getrek het."

48 Jehovah het op daardie selfde dag vir Moses gesê: **49** "Klim op teen die berg Nebo' in die Aba'rim-berge,ⁱ wat in die land Moab is en wat op Je'rigio uitkyk, en kyk na die land Kanaän, wat ek aan die Israeliete as 'n besitting gee.^k **50** Dan sal jy sterf op die berg waarteen jy

32:43 *Of "en die land van sy volk reinig". **32:44** *Josua se oorspronklike naam. Hosea is 'n verkorte vorm van Hosaja, wat "gered deur Jah; Jah het gered" beteken.

sal opklim en tot jou volk versamel word,* net soos jou broer Aäron op die berg Hor gesterf het^a en tot sy volk versamel is, **51** omdat julle al twee ontrou was aan my onder die Israëliete by die waters van Me'riba^b by Kades, in die wildernis Zin, toe julle my nie voor die Israëliete geheilig het nie.^c **52** Jy sal die land van ver af sien, maar jy sal nie in die land ingaan wat ek aan die Israëliete gee nie."^d

33 Dit is die seën wat Moses, die man van die ware God, voor sy dood oor die Israëliete uitgespreek het.^e **2** Hy het gesê:

"Jehovah – van Si'nai het hy gekom,^f

en hy het uit Seir op hulle geskyn.

Hy het vanuit die bergstreek Paran in heerlikheid gestraal,^g

en saam met hom was tienduiseende heiliges,^h aan sy regterhand sy vegters.ⁱ

3 Hy het sy volk liefgehad,^j

Al hulle heiliges is in u hand.^k

Hulle het aan u voete gesit.^l

Hulle het na u woorde begin luister.^m

4 (Moses het aan ons 'n bevel gegee, 'n wet,ⁿ

as 'n besitting van die gemeente van Jakob.)^o

5 En Hy het koning geword in Jesu'run^{*p}

toe die hoofde van die volk bymekaargekom het^q saam met al die stamme van Israel.^r

6 Laat Ruben lewe en nie uitsterf nie,^s

HFST. 32

- a Nu 20:28
Nu 33:38
b Nu 20:12, 13
c Le 22:32
Jes 8:13
d Nu 27:13, 14
De 3:27
De 34:4, 5

HFST. 33

- e Ge 49:28
f Eks 19:18
g Hab 3:3
h Da 7:10
Jud 14
i Ps 68:17
j De 7:8
Ho 11:1
k Eks 19:6
l Eks 19:23
m Eks 20:19
n Eks 24:8
o De 4:8
Han 7:53
p Jes 44:2
q Eks 18:25
Eks 19:7
r Nu 1:44, 46
s Ge 49:3

Tweede kol.

- a Nu 26:7
Jos 13:15
b Ge 49:8
1Kr 5:2
c Ps 78:68
d Rig 1:2
2Sa 7:8, 9
e Ge 49:5
Nu 3:12
f Eks 28:30
Le 8:6, 8
g Eks 32:26
h Eks 17:7
i Nu 20:13
j Eks 32:27
Le 10:6, 7
k Mal 2:4, 5
l De 17:9
m 2Kr 17:8, 9
Mal 2:7
n Eks 30:7
Nu 16:40
o Le 1:9
p Ge 49:27

en laat sy manne nie min word nie."^a

7 En hy het hierdie seën oor Juda uitgespreek:^b

"Hoor, o Jehovah, die stem van Juda,^c

en mag u hom na sy volk toe terugbring.

Sy arms het verdedig* wat syne is,

en mag u hom help teen sy vyande."^d

8 Van Levi het hy gesê:^e

"O God, u Tummim en u Urim^f behoort aan die man wat lojal is aan u,^g

wat by Massa deur u getoets is.^h

U het by die waters van Me'riba met hom begin stry,ⁱ

9 die man wat van sy pa en sy ma gesê het: 'Ek het hulle nie in ag geneem nie.'

Selfs sy broers het hy nie erken nie,^j

en hy het nie sy eie seuns se kant gekies nie.

Want hulle het u woord bewaar,

en hulle het u verbond gehou.^k

10 Laat hulle Jakob in u regterlike bevele onderrig,^l

en Israel in u Wet.^m

Laat hulle reukwerk offer as 'n aangename geur vir u,^{*n}

en 'n heeloffer op u altaar.^o

11 Seën, o Jehovah, sy krag, en mag u tevrede wees met die werk van sy hande.

Breek die bene* van diegene wat teen hom opstaan

sodat dié wat hom haat, nie meer kan opstaan nie."^p

12 Van Benjamin het hy gesê:^p

33:7 *Of "het gestry vir". **33:10** *Lett. "in u neus". **33:11** *Of "heupe".

32:50 *'n Poëtiese uitdrukking wat na die dood verwys. **33:5** *'n Eretitel vir Israel wat "die opregte" beteken.

“Laat die geliefde van Jehovah in veiligheid by hom woon.

Hy sal hom die hele dag beskerm,
en hy sal tussen sy skouers woon.”

13 Van Josef het hy gesê:^a

“Mag sy land deur Jehovah geseën word^b
met die heel beste dinge van die hemel,
met dou en die waters van die fonteine onder die aarde,^c

14 met die heel beste dinge wat die son laat groei,
en die heel beste opbrengs elke maand,^d

15 met die heel beste dinge van die ou berge,^e
en die heel beste dinge van die ewige heuwels,

16 met die heel beste dinge van die aarde en wat daarop is,^f

en met die goedkeuring van die Een wat in die doringbos woon.^g

Mag dit op die kop van Josef kom,
op die kroon van die kop van die een wat onder sy broers uitgesonder is.^h

17 Sy prag is soos dié van 'n eersgebore bul,
en sy horings is die horings van 'n wilde bul.
Daarmee sal hy volke stoot,^{*}
al die volke tot aan die eindes van die aarde.
Hulle is die tienduisende van E'fraim,ⁱ
en hulle is die duisende van Manas'se.”

33:15 *Of moontlik “die berge van die ooste”. **33:17** *Of “deurboor”.

HFST. 33

a Ge 49:22

b Jos 16:1

c Ge 49:25

d Le 26:5
Ps 65:9

e Jos 17:17, 18

f De 8:7, 8

g Eks 3:4
Han 7:30

h Ge 37:7
Ge 49:26
1Kr 5:1, 2

i Ge 48:19, 20

Tweede kol.

a Ge 49:13

b Ge 49:14

c Ge 49:19

d Jos 13:24-28

e Nu 32:1-5

f Jos 22:1, 4

g Ge 49:16

h Rig 13:2, 24
Rig 15:8, 20
Rig 16:30

i Jos 19:47

j Ge 49:21

k Ge 49:20

DEUTERONOMIUM 33:13-24

18 Van Se'bulon het hy gesê:^a

“Wees bly, o Se'bulon,
wanneer jy uitgaan,
en jy, o Is'saskar, in jou tente.^b

19 Hulle sal volke na die berg roep.

Daar sal hulle die offerandes van regverdigheid offer.

Want hulle sal voordeel trek uit die oorfloedige rykdom van die seë*
en die versteekte skatte van die sand.”

20 Van Gad het hy gesê:^c

“Geseënd is hy wat die grense van Gad uitbrei.^d
Hy lê daar soos 'n leeu,
gereed om die arm en selfs die kop te verskeur.

21 Hy sal die eerste deel vir hom kies,^e

want daar is die toegewese deel wat 'n wetgewer vir hom bewaar.^f

Die hoofde van die volk sal bymekaarkom.

Die regverdigheid van Jehovah sal hy uitvoer,
en sy regterlike bevel in verband met Israel.”

22 Van Dan het hy gesê:^g

“Dan is 'n leeuwelpie.^h
Hy sal uit Basan uitspring.”ⁱ

23 Van Naf'tali het hy gesê:^j

“Naf'tali is versadig met die goedkeuring van Jehovah

en word ryklik deur hom geseën.

Neem die weste en die suide in besit.”

24 Van Aser het hy gesê:^k

“Geseënd met seuns is Aser.

33:19 *Let. “sal die oorfloed van die seë suig”.

Mag hy sy broers se goedkeuring geniet, en mag hy sy voete in olie bad.*

- 25** Die slotte van jou poorte is yster en koper,^a en jy sal al jou dae veilig wees.*
- 26** Daar is niemand soos die ware God^b van Jesu'runie, wat deur die hemel ry om jou te help en wat op die wolke ry in sy majesteit.^d
- 27** God is van die ou tyd af 'n beskerming,^e sy ewige arms is onder jou.^f En hy sal die vyand voor jou uit verdryf,^g en hy sal sê: 'Vernietig hulle!'^h
- 28** Israel sal in veiligheid woon, en die fontein van Jakob sal afgesonderd wees, in 'n land van graan en nuwe wyn,ⁱ waar die dou van die hemel drup.^j
- 29** Gelukkig is jy, o Israel!^k Wie is soos jy,^l 'n volk wat redding geniet in Jehovah,^m jou beskermende skild,ⁿ en jou indrukwekkende swaard? Jou vyande sal voor jou kruip,^o en jy sal op hulle rug* trap.”

34 Toe het Moses van die woestynvlaktes van Moab af teen die berg Nebo^p opgeklim, na die top van Pisga,^q wat op Je'rigo^r uitkyk. En Jehovah het hom die hele land gewys, van Gi'lead tot by Dan^s **2** en die hele Naf'tali en die land van E'fraim en Manas'se en die hele

HFST. 33

- a De 8:7, 9
b Eks 15:11
c Jes 44:2
d Ps 68:32-34
e Ps 46:11
Ps 91:2
f Jes 40:11
g De 9:3
h De 31:3, 4
i De 8:7, 8
j De 11:11
k Ps 33:12
Ps 144:15
Ps 146:5
l De 4:7
2Sa 7:23
Ps 147:20
m Ps 27:1
Jes 12:2
n Ps 115:9
o Ps 66:3

HFST. 34

- p De 32:49
q De 3:27
r Nu 36:13
s Rig 18:29

Tweede kol.

- a Eks 23:31
Nu 34:2, 6
De 11:24
b Jos 15:1
c Ge 13:10
d Ge 19:22, 23
e Ge 12:7
Ge 26:3
Ge 28:13
f Nu 20:12
g De 32:50
Jos 1:2
h Jud 9
i De 31:1, 2
Han 7:23
Han 7:30, 36
j Nu 20:29
k De 31:14
1Ti 4:14
l Nu 27:18, 21
Jos 1:16
m De 18:15
Han 3:22
Han 7:37
n Eks 33:11
Nu 12:8
o De 4:34
p De 26:8
Lu 24:19

land van Juda tot by die westelike see,*^a **3** sowel as die Negeb^b en die Distrik,^c die valleivlakte van Je'rigo, die stad van palmbome, tot by Soar.^d

4 Jehovah het toe vir hom gesê: “Dit is die land wat ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed belowe het deur te sê: ‘Aan jou nakomelinge* sal ek dit gee.’^e Ek het jou dit met jou eie oë laat sien, maar jy sal nie daarheen oortrek nie.”^f

5 Daarna het Moses, die kneg van Jehovah, daar in die land Moab gesterf, net soos Jehovah gesê het.^g **6** Hy het hom in die vallei in die land Moab, oorkant Bet-Peor, begrawe, en tot vandag toe weet niemand waar sy graf is nie.^h **7** Moses was 120 jaar oud toe hy gesterf het.ⁱ Sy oë het nie dof geword nie en sy krag het hom nie verlaat nie. **8** Die volk Israel het 30 dae lank in die woestynvlaktes van Moab oor Moses getreur.^j Toe het die tyd om oor Moses te treur en te rou, tot 'n einde gekom.

9 Josua, die seun van Nun, was vol van die gees van wysheid, want Moses het sy hande op hom gelê.^k En die Israëliete het na hom begin luister, en hulle het gedoen net soos Jehovah Moses beveel het.^l **10** Maar daar was nooit weer so 'n profeet in Israel nie. Jehovah het Moses^m van aangesig tot aangesig geken.ⁿ **11** Hy het al die tekens en die wonderwerke gedoen wat Jehovah hom gestuur het om in Egipte te doen voor Farao en al sy knegte en sy hele land.^o **12** Moses het ook 'n magtige hand en ontsagwekkende krag voor die oë van die hele Israel geopenbaar.^p

34:2 *Die Grootsee, die Middellandse See. **34:4** *Lett. “saad”.

33:24 *Of “doop”. **33:25** *Lett. “en jou krag sal soos jou dae wees”. **33:29** *Of moontlik “hoë plekke”.

JOSUA

OORSIG

- 1 Jehovah moedig Josua aan (1-9)
Lees Wet en dink daaroor na (8)
Voorbereidings om Jordaan oor te steek (10-18)
- 2 Josua stuur twee spioene na Jerigo (1-3)
Ragab steek spioene weg (4-7)
Belofte aan Ragab (8-21a)
Helderrooi tou as teken (18)
Spioene keer terug na Josua (21b-24)
- 3 Israel steek Jordaan oor (1-17)
- 4 Klippe dien as gedenkteken (1-24)
- 5 Israeliete besny by Gilgal (1-9)
Pasga gevier; manna hou op (10-12)
Bevelvoerder van Jehovah se leërmag (13-15)
- 6 Muur van Jerigo val (1-21)
Ragab en familie gespaar (22-27)
- 7 Israel verslaan by Ai (1-5)
Josua se gebed (6-9)
Israel verslaan weens sonde (10-15)
Agan skuldig bevind, doodgegooi (16-26)
- 8 Josua laat vegters wegkruip naby Ai (1-13)
Ai ingeneem (14-29)
Wet gelees by berg Ebal (30-35)
- 9 Gibeoniete se plan om vrede te maak (1-15)
Israeliete vind uit wat Gibeoniete gedoen het (16-21)
Gibeoniete sal hout en water aandra (22-27)
- 10 Israel verdedig Gibeon (1-7)
Jehovah veg vir Israel (8-15)
Haelstene op vyande wat vlug (11)
Son staan stil (12-14)
Vyf vyandige konings doodgemaak (16-28)
Stede in suide ingeneem (29-43)
- 11 Stede in noorde ingeneem (1-15)
Opsomming van Josua se oorwinnings (16-23)
- 12 Konings oos van Jordaan verslaan (1-6)
Konings wes van Jordaan verslaan (7-24)
- 13 Land wat nog in besit geneem moet word (1-7)
Verdeling van land oos van Jordaan (8-14)
Ruben se erfdeel (15-23)
Gad se erfdeel (24-28)
Manasse se erfdeel in ooste (29-32)
Jehovah is Leviete se erfdeel (33)
- 14 Verdeling van land wes van Jordaan (1-5)
Kaleb ontvang Hebron (6-15)
- 15 Juda se erfdeel (1-12)
Kaleb se dogter ontvang grond (13-19)
Stede van Juda (20-63)
- 16 Erfdeel van Josef se nakomelinge (1-4)
Efraim se erfdeel (5-10)
- 17 Manasse se erfdeel in weste (1-13)
Nog land vir Josef se nakomelinge (14-18)
- 18 Res van land verdeel in Silo (1-10)
Benjamin se erfdeel (11-28)
- 19 Simeon se erfdeel (1-9)
Sebulon se erfdeel (10-16)
Issaskar se erfdeel (17-23)
Aser se erfdeel (24-31)
Naftali se erfdeel (32-39)
Dan se erfdeel (40-48)
Josua se erfdeel (49-51)
- 20 Vrystede (1-9)
- 21 Stede vir Leviete (1-42)
Vir Aäron se nakomelinge (9-19)
Vir res van Kehatiete (20-26)
Vir Gersoniete (27-33)
Vir Merariete (34-40)
Jehovah se beloftes vervul (43-45)
- 22 Oostelike stamme keer terug (1-8)
Altaar gebou by Jordaan (9-12)
Doel van altaar verduidelik (13-29)
Misverstand opgeklaar (30-34)

- 23 Josua se laaste woorde aan Israel se leiers (1-16)
 Nie een van Jehovah se woorde on vervuld nie (14)
- 24 Josua gee oorsig van Israel se geskiedenis (1-13)
 Aansporing om Jehovah te dien (14-24)

“Ek en my huisgesin sal Jehovah dien” (15)
 Josua se verbond met Israel (25-28)
 Josua sterf, begrawe (29-31)
 Josef se beendere in Sigem begrawe (32)
 Eleasar sterf, begrawe (33)

1 Ná die dood van Moses, die kneg van Jehovah, het Jehovah vir Josua,^a die seun van Nun, Moses se dienaar,^b gesê: **2** “My kneg Moses is dood.^c Staan nou op, steek die Jordaanrivier oor, jy en hierdie hele volk, en gaan in die land in wat ek aan hulle, die Israëliete, sal gee.^d **3** Ek sal vir julle elke plek gee waarop julle julle voet neersit, net soos ek Moses belowe het.^e **4** Julle gebied sal strek van die wildernis tot by die Li’banon en tot by die groot rivier, die Eufraatrivier – die hele land van die Hettiete^f – en tot by die Grootsee* in die weste.^g **5** Niemand sal jou kan oorwin solank as wat jy lewe nie.^h Net soos ek met Moses was, sal ek met jou wees.ⁱ Ek sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie.^j **6** Wees moedig en sterk,^k want jy sal hierdie volk die land laat erf wat ek aan hulle voorvaders met ’n eed belowe het om aan hulle te gee.^l

7 “Wees net moedig en baie sterk, en sorg dat jy die hele Wet streng gehoorsaam wat my kneg Moses aan jou oorgedra het. Moenie regs of links daarvan afwyk nie,^m sodat jy wys kan optree waar jy ook al gaan.ⁿ

1:1 *Of “Jehosua”. Beteken “Jehovah is redding”. 1:4 *Die Middellandse See. ^aOf “in die rigting van die sonsondergang”.

- HFST. 1
 a De 31:14
 b Eks 24:13
 Nu 11:28
 c De 34:5
 d De 3:28
 e De 11:24
 f Nu 13:29
 g Ge 15:18
 Eks 23:31
 Nu 34:2, 3
 De 1:7
 Jos 15:1, 4
 h De 7:24
 De 11:25
 i Eks 3:12
 Jos 3:7
 j De 31:6
 k De 31:23
 l Ge 12:7
 Ge 15:18
 Ge 26:3
 m De 5:32
 n De 29:9
 1Kn 2:3

Tweede kol.

- a De 6:6
 De 30:14
 b De 17:18, 19
 Ps 1:1, 2
 1Ti 4:15
 Jak 1:25
 c 1Kr 22:13
 d Eks 23:27
 De 31:7, 8
 e De 9:1
 Jos 3:2, 3
 f Nu 32:20-22
 Jos 22:1-4
 g De 3:19, 20
 De 29:8
 Jos 13:8
 h Nu 1:3
 Nu 26:2

8 Hierdie Wetboek moet op jou lippe bly,^a en jy moet dit dag en nag lees en daarvoor nadink,^b sodat jy alles wat daarin geskryf is, streng kan gehoorsaam,^b want dan sal jy^c suksesvol wees, en dan sal jy wys optree.^c **9** Ek beveel jou weer eens: Wees moedig en sterk. Moenie bang wees of vrees nie, want Jehovah jou God is met jou waar jy ook al gaan.^d

10 Toe het Josua die beampies van die volk beveel: **11** “Gaan deur die hele kamp en gee die volgende bevel aan die volk: ‘Maak padkos gereed, want oor drie dae steek julle die Jordaanrivier oor om die land in te neem wat Jehovah julle God aan julle gee om te besit.’^e

12 Josua het vir die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas’se gesê: **13** “Onthou wat Moses, die kneg van Jehovah, julle beveel het:^f ‘Jehovah julle God gee julle rus, en hy het julle hierdie land gegee. **14** Julle vrouens, julle kinders en julle vee sal in die land woon wat Moses julle aan hierdie kant* van die Jordaanrivier gegee het,^g maar al julle magtige vegters^h moet in gevegsformasie voor julle broers

1:8 *Of “mag nie uit jou mond weggaan nie”. ^aOf “op gedempte toon lees”. ^bLet. “jou weg”. 1:14 *D.w.s. die oostekant.

die rivier oorsteek.^a Julle moet hulle help **15** totdat Jehovah julle broers rus gee, net soos hy julle rus gegee het, en totdat hulle ook die land in besit neem wat Jehovah julle God aan hulle gee. Keer dan terug na die land wat aan julle gegee is om in te woon, en neem dit in besit. Dit is die land wat Moses, die kneg van Jehovah, julle aan die oostekant van die Jordaanrivier gegee het.”^b

16 Hulle het Josua geantwoord en gesê: “Ons sal alles doen wat u ons beveel het, en ons sal gaan waar u ons ook al stuur.”^c **17** Net soos ons geluister het na alles wat Moses gesê het, so sal ons na u luister. Mag Jehovah u God met u wees soos hy met Moses was.^d **18** Enigiemand wat teen u bevel in opstand kom en nie elke bevel gehoorsaam wat u hom gee nie, sal doodgemaak word.^e Wees net moedig en sterk.”^f

2 Toe het Josua, die seun van Nun, in die geheim twee manne uit Sittim^g as spioene uitgestuur. Hy het vir hulle gesê: “Gaan verken die land, veral Je’rigo.” Toe het hulle gegaan en by die huis gekom van ’n prostituut met die naam Ragab,^h en hulle het daar gebly. **2** Daar is vir die koning van Je’rigo gesê: “Kyk! Israelitiese manne het vanaand hierheen gekom om die land te verken.” **3** Toe het die koning van Je’rigo die volgende boodskap na Ragab gestuur: “Bring die manne uit wat by jou in die huis is, want hulle het gekom om die hele land te verken.”

4 Maar die vrou het die twee manne weggesteek. Toe het sy gesê: “Ja, die manne het na my toe gekom, maar ek het nie gewet waarvandaan hulle kom nie. **5** En toe dit donker geword het, net voordat

HFST. 1

a De 3:18

b Nu 32:33
Jos 22:4, 9

c Nu 32:17, 25

d Nu 27:18, 20
De 34:9

e De 17:12

f De 31:7
Jos 1:6, 9

HFST. 2

g Nu 25:1
Nu 33:49h Jos 6:17
Mt 1:5
Heb 11:31
Jak 2:25

Tweede kol.

a Rig 3:28
Rig 12:5

b Eks 3:8

c Eks 23:27
De 2:25
De 11:25d Eks 15:15
Jos 5:1e Eks 14:21
Eks 15:13, 14

f Nu 21:21-24

g Nu 21:33, 34
De 3:3
Jos 9:9, 10h De 4:39
2Kr 20:6
Da 4:35

die stadspoort toegemaak moes word, het die manne uitgegaan. Ek weet nie waarheen die manne gegaan het nie, maar as julle gou maak en hulle agternasit, sal julle hulle inhaal.” **6** (Eintlik het sy hulle na die dak opgeneem en hulle weggesteek tussen vlasstingels wat in rye op die dak gesit is.) **7** Die koning se manne het hulle agternagesit in die rigting van die Jordaanrivier by die driewe,^a en die stadspoort is toegemaak nadat die agtervolgers uitgegaan het.

8 Voordat die manne gaan slaap het, het sy na hulle toe gekom op die dak. **9** Sy het vir hulle gesê: “Ek weet dat Jehovah die land aan julle sal gee^b en dat die vrees vir julle ons oorweldig het.^c Al die inwoners van die land het moed verloor as gevolg van julle,^d **10** want ons het gehoor hoe Jehovah die water van die Rooisee voor julle laat opdroog het toe julle Egipte verlaat het^e en wat julle gedoen het aan Sihon^f en Og,^g die twee konings van die Amoriete, wat julle aan die ander kant* van die Jordaanrivier vernietig het. **11** Toe ons daarvan hoor, het ons baie bang geword,^h en almal het moed verloorⁱ as gevolg van julle, want Jehovah julle God is God in die hemel daar bo en op die aarde hier onder.^h **12** Sweer dan nou asseblief vir my by Jehovah dat julle lojale liefde aan my pa se huisgesin sal betoon omdat ek lojale liefde aan julle betoon het, en julle moet my ’n betroubare teken gee. **13** Julle moet die lewens spaar van my pa, my ma, my broers, my susters en almal wat

2:10 *D.w.s. die oostekant. **2:11** *Lett. “het ons harte gesmelt”. *Lett. “en gees het nie meer in ’n man opgekome nie”.

aan hulle behoort, en julle moet ons* van die dood red.”^a

14 Toe het die manne vir haar gesê: “Mag ons* in julle plek sterf as ons nie ons belyfte hou nie! As julle vir niemand sê waarmee ons besig is nie, sal ons lojale liefde aan julle betoon en ons woord hou wanneer Jehovah ons die land gee.”

15 Daarna het sy hulle met ’n tou deur die venster laat afklim, want sy het op die muur gewoon. Haar huis was aan ’n kant van die stadsmuur.^b **16** Toe het sy vir hulle gesê: “Gaan na die bergstreek en kruip drie dae lank daar weg, sodat julle agtervolgers julle nie sal vind nie. Dan, wanneer julle agtervolgers teruggekom het, kan julle verder gaan.”

17 Die manne het vir haar gesê: “Ons sal slegs gebind wees aan hierdie eed wat jy ons laat sweer het^c **18** as jy die volgende doen wanneer ons in die land inkom: Jy moet hierdie helderrooi tou waarmee jy ons laat afklim het, aan die venster vasbind. Jy moet jou pa, jou ma, jou broers en jou pa se hele huisgesin by jou in die huis laat bymekaarkom.^d **19** Dan, as enigiemand jou huis verlaat en buitentoe gaan, sal dit sy eie skuld wees as hy sterf,* en ons sal vry wees van skuld. Maar as enigiemand iets oorkom[#] wat by jou in die huis is, sal ons daarvoor verantwoordelik wees.^Δ **20** Maar as jy vir enigiemand sê wat ons doen,^e sal ons nie meer gebind wees aan hierdie eed wat jy ons laat sweer het nie.” **21** Sy het gesê: “Laat dit gebeur soos julle gesê het.”

2:13, 14 *Of “ons siele”. 2:19 *Lett. “sal sy bloed op sy kop wees”. #Of “as ’n hand op enigiemand gelê word”. ΔLett. “sal sy bloed op ons kop wees”.

HFST. 2

a Jos 6:23

b Heb 11:31

c Nu 30:2

d Jos 6:23

e Jos 2:14

Tweede kol.

a Eks 23:31

Jos 6:2

Jos 21:44

b Eks 15:14-16

Jos 2:9-11

Jos 5:1

HFST. 3

c Nu 25:1

Jos 2:1

d De 1:15

Jos 1:10, 11

e Nu 4:15

1Kr 15:2

f Eks 19:10

Le 20:7

g Eks 34:10

h Eks 25:10

Nu 4:15

Toe het sy hulle weggestuur, en hulle het weggegaan. Daarna het sy die helderrooi tou aan die venster vasgebind. **22** Hulle het toe gegaan en in die bergstreek gekom en drie dae daar gebly totdat die agtervolgers teruggekom het. Die agtervolgers het hulle op elke pad gesoek, maar kon hulle nie vind nie. **23** Die twee manne het toe afgekom van die bergstreek af en die rivier oorgesteek en by Josua, die seun van Nun, gekom. Hulle het vir hom alles vertel wat met hulle gebeur het. **24** Toe het hulle vir Josua gesê: “Jehovah het die hele land aan ons gegee,^a en al die inwoners van die land het moed verloor as gevolg van ons.”^b

3 Toe het Josua die oggend vroeg opgestaan, en hy en al die Israeliete het van Sittim^c af vertrek en by die Jordaanrivier gekom. Hulle het die nag daar deurgebring voordat hulle die rivier oorgesteek het.

2 Drie dae later het die beamptes^d deur die hele kamp gegaan **3** en die volgende bevel aan die volk gegee: “Sodra julle sien dat die ark van die verbond van Jehovah julle God deur die Levitiese priesters gedra word,^e moet julle vertrek en dit volg, **4** sodat julle sal weet watter pad om te volg, want julle was nog nooit voorheen op hierdie pad nie. Maar hou ’n afstand van omtrent 2 000 el* tussen julle en die ark van die verbond. Moenie nader as dit kom nie.”

5 Josua het toe vir die volk gesê: “Heilig julle,^f want môre sal Jehovah wonderlike dinge onder julle doen.”^g

6 Daarna het Josua vir die priesters gesê: “Neem die ark^h van die verbond en gaan voor

3:4 *Omtrent 890 m. Sien Aanh. B14.

die volk uit.” Toe het hulle die ark van die verbond geneem en voor die volk uitgegaan.

7 En Jehovah het vir Josua gesê: “Vandag sal ek jou groot eer begin gee voor die hele Israel,^a sodat hulle kan weet dat ek met jou sal wees,^b net soos ek met Moses was.^c **8** Jy moet die priesters wat die ark van die verbond dra, die volgende bevel gee: ‘Wanneer julle by die waters van die Jordaanrivier kom, moet julle in die Jordaanrivier gaan stilstaan.’”^d

9 En Josua het vir die Israëliete gesê: “Kom luister na die woorde van Jehovah julle God.”

10 Josua het toe gesê: “So sal julle weet dat ’n lewende God onder julle is,^e en dat hy die Kanaäniete, die Hetiete, die Hewiete, die Perissiete, die Girgasiëte, die Amoriete en die Jebusiete vir seker voor julle sal verdryf.^f

11 Kyk! Die ark van die verbond van die Here van die hele aarde gaan voor julle uit, in die Jordaanrivier in. **12** Neem nou 12 manne uit die stamme van Israel, een man vir elke stam,^g **13** en sodra die priesters wat die Ark van Jehovah dra, die Here van die hele aarde, met hulle voetsole aan die water van die Jordaanrivier raak, sal die water van die Jordaanrivier ophou vloei, en dit sal opdam.”^h

14 Toe die volk vertrek het, net voordat hulle die Jordaanrivier oorgesteek het, het die priesters wat die arkⁱ van die verbond dra, voor die volk uitgegaan. **15** Net toe die draers van die Ark by die Jordaanrivier kom en die priesters wat die Ark dra, hulle voete in die water sit (die Jordaanrivier oorstroom sy oewers/ al die dae van die oes), **16** het die water stil-

3:13 *Of “soos ’n muur bly staan”.

HFST. 3

a Jos 4:14

b Jos 1:5, 17

c Eks 3:12
Eks 14:31

d Jos 3:17

e De 7:21

f Eks 3:8
De 7:1
Ps 44:2

g Jos 4:2, 3

h Ps 114:1, 3

i Eks 25:10
Jos 3:6
Han 7:44, 45

j Jos 4:18
1Kr 12:15

Tweede kol.

a Jos 4:3

b Ps 66:6

HFST. 4

c Jos 3:12, 13

d Jos 3:17

e Jos 4:19, 20

f Eks 13:14
De 6:20, 21
Ps 78:3, 4

g Jos 3:13, 16

gestaan. Dit het baie ver weg opgedam* by Adam, die stad naby Sarton, terwyl die water wat gewoonlik vloei na die See van die A’raba, die Soutsee,[#] weggevloei het. Dit is afgesny, en die volk het die rivier voor Je’rigo oorgesteek. **17** Terwyl die priesters wat die ark van Jehovah se verbond gedra het, op droë grond in die middel van die Jordaanrivier stilgestaan het,^a het die hele Israel op droë grond deur die rivier gegaan,^b totdat die hele nasie deur die Jordaanrivier gegaan het.

4 Nadat die hele nasie deur die Jordaanrivier gegaan het, het Jehovah vir Josua gesê: **2** “Neem 12 manne uit die volk, een man uit elke stam,^c **3** en gee hulle die volgende bevel: ‘Neem 12 klippe uit die middel van die Jordaanrivier, van die plek waar die priesters se voete stilgestaan het,^d en dra dit saam met julle, en sit dit neer op die plek waar julle gaan oornag.’”^e

4 Toe het Josua die 12 manne geroep wat hy aangestel het, een man uit elke stam van Israel, **5** en Josua het vir hulle gesê: “Gaan verby die Ark van Jehovah julle God na die middel van die Jordaanrivier, en elkeen van julle moet ’n klip op sy skouer sit, volgens die getal stamme van die Israëliete, **6** sodat dit as ’n teken onder julle kan dien. As julle kinders* julle later vra: ‘Hoekom lê hierdie klippe hier?’^f **7** dan moet julle vir hulle sê: ‘Omdat die water van die Jordaanrivier voor die ark^g van Jehovah se verbond opgehou vloei het. Toe dit deur die Jordaanrivier gedra is, het die water van die Jordaanrivier opgehou vloei. Hierdie klippe sal

3:16 *Of “soos ’n muur opgerys”.
[#]Die Dooie See. **4:6** *Lett. “seuns”.

JOSUA 4:8-5:1

as 'n permanente gedenkteken* vir die Israeliete dien.”^a

8 Toe het die Israeliete gedoen net soos Josua beveel het. Hulle het 12 klippe uit die middel van die Jordaanrivier geneem, volgens die aantal stamme van Israel, net soos Jehovah vir Josua gesê het. Hulle het dit saam met hulle geneem na die plek waar hulle sou oornag en dit daar neergesit.

9 Josua het ook 12 klippe in die middel van die Jordaanrivier opgerig op die plek waar die priesters gestaan het wat die ark van die verbond gedra het,^b en die klippe is tot vandag toe nog daar.

10 Die priesters wat die Ark gedra het, het in die middel van die Jordaanrivier bly staan totdat alles gedoen is wat Jehovah Josua beveel het om vir die volk te sê, in ooreenstemming met alles wat Moses Josua beveel het. Die hele tyd het die volk haastig deur die rivier gegaan.

11 Nadat die hele volk deur die rivier gegaan het, het die Ark van Jehovah sowel as die priesters deurgegaan terwyl die volk toegekyk het.^c **12** En die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se het in gevegsformasie voor die ander Israeliete deurgegaan,^d net soos Moses vir hulle gesê het.^e **13** Omtrent 40 000 gewapende soldate het voor Jehovah deurgegaan na die woestynvlaktes van Je'rigo.

14 Op daardie dag het Jehovah Josua groot eer gegee in die oë van die hele Israel,^f en hulle het al die dae van sy lewe diep respek vir hom gehad,* net soos hulle diep respek vir Moses gehad het.^g

4:7 *Of “herinnering”. 4:14 *Lett. “hom gevrees”.

HFST. 4

a De 4:9

b Jos 3:17

c Jos 3:8, 17

d Jos 1:12, 14

e Nu 32:20-22
Nu 32:25-29

f Jos 3:7

g Eks 14:31

Tweede kol.

a Eks 25:22

b Nu 4:15

c Jos 3:13, 15

d Jos 4:3
Jos 5:8, 9
Jos 10:6

e Jos 4:8

f Ps 44:1

g Jos 3:17
Ps 66:6h Eks 14:21
Jes 63:12
Heb 11:29i Eks 9:16
Eks 15:6
De 28:10
1Sa 17:46
2Kn 19:19
Ps 106:8

HFST. 5

j Ge 10:15, 16

15 Toe het Jehovah vir Josua gesê: **16** “Beveel die priesters wat die ark van die Getuienis dra,^a om uit die Jordaanrivier uit te kom.” **17** Toe het Josua die priesters die volgende bevel gegee: “Kom uit die Jordaanrivier uit.” **18** Toe die priesters wat die ark^b van die verbond van Jehovah dra, uit die middel van die Jordaanrivier kom en hulle voete aan die droë grond raak, het die water van die Jordaanrivier weer begin vloei en sy oewers oorstroom,^c soos voorheen.

19 Die volk het op die tiende dag van die eerste maand uit die Jordaanrivier uitgekom en by Gilgal aan die oostelike grens van Je'rigo kamp opgeslaan.^d

20 Josua het die 12 klippe wat hulle uit die Jordaanrivier geneem het, in Gilgal opgerig.^e

21 Toe het hy vir die Israeliete gesê: “Wanneer julle kinders in die toekoms vir hulle pa's vra: ‘Wat beteken hierdie klippe?’^f

22 dan moet julle aan julle kinders verduidelik: ‘Israel het op droë grond deur die Jordaanrivier gegaan^g **23** toe Jehovah julle God die waters van die Jordaanrivier voor hulle laat opdroog het sodat hulle daardeur kon gaan, net soos Jehovah julle God met die Rooisee gedoen het toe hy dit voor ons laat opdroog het sodat ons daardeur kon gaan.^h **24** Hy het dit gedoen sodat al die volke van die aarde kan weet hoe magtig Jehovah se hand isⁱ en sodat julle Jehovah julle God altyd sal vrees.”

5 Toe al die konings van die Amoriete^j wat aan die westekant van die Jordaanrivier* was en al die konings van die Kanaä-

5:1 *Lett. “die kant van die Jordaan wat in die rigting van die see is”.

niete^a wat by die see was, gehoor het dat Jehovah die water van die Jordaanrivier voor die Israeliete laat opdroog het sodat hulle kon deurgaang, het hulle baie bang geword,^{*b} en hulle het heeltemal moed verloor[#] as gevolg van die Israeliete.^c

2 Op daardie stadium het Jehovah vir Josua gesê: "Maak vir jou messe van vuurklip en besny^d die manne van Israel weer, 'n tweede keer." **3** Toe het Josua vir hom messe van vuurklip gemaak en die manne van Israel by Gi'beat-Haäralot* besny.^e

4 Josua het hulle besny omdat al die manne van die volk wat Egipte verlaat het, al die manne wat oud genoeg was om te veg, in die wildernis gesterf het nadat hulle Egipte verlaat het.^f

5 Almal wat Egipte verlaat het, was besny, maar almal wat op pad in die wildernis gebore is toe hulle Egipte verlaat het, was nie besny nie. **6** Die Israeliete het 40 jaar^g lank deur die wildernis getrek totdat die hele nasie uitgesteef het, dit wil sê die manne wat oud genoeg was om te veg en wat Egipte verlaat het en wat nie Jehovah se stem gehoorsaam het nie.^h Jehovah het vir hulle gesweer dat hy hulle nooit die land sou laat sienⁱ wat Jehovah aan hulle voorvaders met 'n eed belowe het om aan ons te gee nie,^j 'n land wat oorloop van melk en heuning.^k **7** Toe het hy hulle seuns hulle plek laat inneem.^l Josua het hulle besny. Hulle was nie besny nie omdat hulle nie gedurende die reis besny is nie.

8 Toe hulle die hele nasie klaar besny het, het hulle daar

5:1 *Lett. "het hulle harte gesmelt".
#Lett. "en daar was nie meer gees in hulle nie".
5:3 *Betenen "heuvel van die voorhude".

HFST. 5

a Nu 13:29

b Eks 15:15
Jos 2:24

c Jos 2:9-11

d Ge 17:9-11

e Jos 5:8, 9

f Nu 14:29
Nu 26:65
De 2:14g Nu 14:33
De 1:3

h Nu 14:22, 23

i De 1:35

j Ge 13:14, 15
Eks 33:1k Eks 3:8
Nu 13:26, 27
Ese 20:6

l Nu 14:31

Tweede kol.

a Jos 4:19
Jos 5:3b Eks 12:24, 25
Nu 9:5

c Eks 12:18

d Eks 16:35

e De 6:10-12
De 8:10f Ge 18:2
Rig 13:6
Han 1:10g Eks 23:23
Nu 22:23
1Kr 21:16h Eks 23:20
1Kn 22:19
Da 10:13

i Eks 3:4, 5

HFST. 6

j Jos 2:9

in die kamp gebly totdat hulle herstel het.

9 Daarna het Jehovah vir Josua gesê: "Vandag het ek die skande van Egipte van julle af weggerol." Daarom word daardie plek tot vandag toe Gilgal^{*a} genoem.

10 Die kamp van die Israeliete het in Gilgal gebly, en hulle het die Pasga gehou op die 14de dag van die maand,^b in die aand, op die woestynvlaktes van Je'rigo. **11** En op daardie selfde dag, die dag ná die Pasga, het hulle van die opbrengs van die land begin eet, naamlik ongesuurde brode^c en geroosterde graan. **12** En die volgende dag, nadat hulle van die opbrengs van die land geëet het, het die manna opgehou. Die Israeliete het nie meer manna gekry nie,^d want hulle het in daardie jaar van die opbrengs van die land Kanaän begin eet.^e

13 Toe Josua naby Je'rigo was, het hy opgekyk en 'n man^f voor hom sien staan met 'n swaard in sy hand.^g Josua het na hom toe geloop en vir hom gevra: "Is jy aan ons kant of aan die kant van ons vyande?"

14 Hierop het hy gesê: "Ek* het gekom as bevelvoerder[#] van Jehovah se leërmag."^h Toe het Josua gekniel en met sy gesig na die grond toe neergebuig en vir hom gevra: "Wat wil my heer vir sy kneg sê?" **15** Die bevelvoerder van Jehovah se leërmag het Josua geantwoord: "Trek jou sandale uit, want die plek waar jy staan, is heilig." Josua het dit dadelik gedoen.ⁱ

6 Je'rigo was dig toegesluit as gevolg van die Israeliete. Niemand het uitgegaan of ingegaan nie.^j

5:9 *Betenen "rol; rol weg". 5:14 *Lett. "Nee, maar ek". #Of "hoof".

2 Jehovah het toe vir Josua gesê: “Kyk, ek het Je’rigo en sy koning en sy magtige vegters in jou hand gegee.”^a 3 Al die vegters moet om die stad marsjeer en een keer daarom gaan. Julle moet dit vir die volgende ses dae doen. 4 Laat sewe priesters sewe ramshorings voor die Ark dra. Maar op die sewende dag moet julle sewe keer om die stad marsjeer, en die priesters moet op die horings blaas.^b 5 Wanneer die ramshoring geblaas word – sodra julle die geluid* van die horing hoor – moet die hele volk hard skree. Dan sal die muur van die stad inmekaarstort,^c en die volk moet in die stad instorm, elkeen reguit vorentoe.”

6 Toe het Josua, die seun van Nun, die priesters byme-kaargeroep en vir hulle gesê: “Neem die ark van die verbond, en sewe priesters moet sewe ramshorings voor die Ark van Jehovah dra.”^d 7 Toe het hy vir die volk gesê: “Gaan verby en marsjeer om die stad, en die gewapende soldate^e moet voor die Ark van Jehovah marsjeer.” 8 Dit het gebeur net soos Josua vir die volk gesê het: Die sewe priesters met sewe ramshorings het voor Jehovah uitgegaan en op die horings geblaas, en die ark van die verbond van Jehovah het agter hulle aan gekom. 9 Die gewapende soldate het voor die priesters gemarsjeer wat op die horings geblaas het, en die agterste deel van die leërmag het agter die Ark aan gekom terwyl daar heeltyd op die horings geblaas is.

10 En Josua het vir die volk die volgende bevel gegee: “Moenie skree of julle stem laat hoor nie. Nie ’n enkele woord moet uit julle mond uitkom nie tot die

HFST. 6

a Nu 14:9
De 7:24
Ne 9:24

b Rig 7:22

c Heb 11:30

d Nu 4:15

e Nu 10:14,
18, 22
Jos 1:12, 14

Tweede kol.

a 1Kr 15:2

b Jos 6:3

c Jos 6:4

d Jos 6:5, 10

e Le 27:29
De 7:2
De 20:16

f Jos 2:1
Mt 1:5
Heb 11:31

g Ge 12:3
Jos 2:4, 6
Jak 2:25

h De 7:26

i De 13:17
Jos 7:11, 21

dag dat ek vir julle sê: ‘Skree!’ Dan moet julle skree.” 11 Hy het die Ark van Jehovah een keer om die stad laat gaan, en daarna het hulle na die kamp teruggekeer en daar oornag.

12 Die volgende oggend het Josua vroeg opgestaan, en die priesters het die Ark^a van Jehovah geneem, 13 en sewe priesters wat met sewe ramshorings voor die Ark van Jehovah geloop het, het heeltyd op die horings geblaas. Die gewapende soldate het voor hulle geloop, en die agterste deel van die leërmag het die Ark van Jehovah gevolg terwyl daar heeltyd op die horings geblaas is. 14 Hulle het op die tweede dag een keer om die stad gemarsjeer, en daarna het hulle na die kamp teruggekeer. Dit is wat hulle ses dae lank gedoen het.^b

15 Op die sewende dag het hulle vroeg opgestaan, met dagbreek, en hulle het op dieselfde manier sewe keer om die stad gemarsjeer. Dit was net op daardie dag dat hulle sewe keer om die stad gemarsjeer het.^c 16 En die sewende keer het die priesters die horings geblaas, en Josua het vir die volk gesê: “Skree,^d want Jehovah het die stad aan julle gegee! 17 Die stad en alles daarin moet vernietig word.^e Dit alles behoort aan Jehovah. Net Ragab,^f die prostituut, mag bly lewe, sy en almal wat saam met haar in die huis is, omdat sy die spioene weggesteek het wat ons uitgestuur het.^g 18 Maar bly net weg van alles wat vernietig moet word,^h sodat julle nie iets begeer wat vernietig moet word en dit neem nie.ⁱ As julle dit doen, sal julle die kamp van Israel iets maak wat vernietig moet word en ramspoed*ⁱ

6:5 *Of “uitgerekte sein”.

6:18 *Of “moeilikheid; verwerping”.

daaroor bring.^a **19** Maar al die silwer en die goud en die voorwerpe van koper en yster is heilig vir Jehovah.^b Dit moet by die skatte van Jehovah gevoeg word.”^c

20 Die volk het geskree toe die horings geblaas is.^d Onmiddellik nadat die volk die geluid van die horing gehoor het en hard geskree het, het die muur inmekaargestort.^e Daarna het die volk in die stad ingestorm, elkeen reguit vorentoe, en hulle het die stad ingeneem. **21** Hulle het alles in die stad met die swaard doodgemaak: man en vrou, jonk en oud, bul, skaap en donkie.^f

22 Josua het vir die twee manne wat die land verken het, gesê: “Gaan in die huis van die prostituut in, en bring die vrou uit, sowel as almal wat aan haar behoort, net soos julle vir haar gesweer het.”^g **23** Toe het die jong spioene ingegaan en Ragab uitgebring, sowel as haar pa, haar ma, haar broers en almal wat aan haar behoort het. Ja, hulle het haar hele familie uitgebring,^h en hulle het hulle veilig na 'n plek buite die kamp van Israel gebring.

24 Toe het hulle die stad en alles daarin verbrand. Maar hulle het die silwer, die goud en die voorwerpe van koper en yster by die skatte van Jehovah se huis gevoeg.ⁱ **25** Josua het net die lewens gespaar van Ragab, die prostituut, en haar pa se huisgesin en almal wat aan haar behoort het.^j Sy woon tot vandag toe in Israel,^k want sy het die spioene weggesteek wat Josua uitgestuur het om Je'rigo te verken.^l

26 Toe het Josua hierdie eed uitgespreek: “Mag die man wat

6:26 *Of moontlik “die volk hierdie eed laat sweer”.

HFST. 6

a Jos 7:25

b Nu 31:22, 23

c Jos 6:24
1Kn 7:51
1Kr 18:11

d Jos 6:4, 16

e Jos 6:5
Heb 11:30

f De 7:2
De 20:16

g Jos 2:14
Heb 11:31

h Jos 2:12, 13
Jos 2:17-19

i Jos 6:19

j Jos 2:14
Jos 6:17, 22

k Mt 1:5

l Heb 6:10
Jak 2:25

Tweede kol.

a 1Kn 16:34

b De 31:6
Jos 1:5

c Jos 9:1, 2
Jos 9:9, 10

HFST. 7

d Jos 22:20
1Kr 2:7

e De 7:26

f Jos 6:17, 18

g Ge 12:8

h Ge 28:19

i Le 26:14, 17
De 28:15, 25
De 32:30

hierdie stad, Je'rigo, probeer herbou, voor Jehovah vervloek wees. As hy die stad se fondament lê, sal dit hom sy eersgeborene kos, en as hy die deure daarvan insit, sal dit hom sy jongste kos.”^a

27 En Jehovah was met Josua,^b en sy roem het oor die hele aarde versprei.^c

7 Maar die Israëliete was ongehoorsaam aan die bevel oor wat vernietig moes word, want Agan,^d die seun van Karmi, die seun van Sabdi, die seun van Serag, van die stam van Juda, het van die goed gevat wat vernietig moes word.^e Daarom het Jehovah se woede teen die Israëliete opgevlam.^f

2 Toe het Josua manne van Je'rigo af uitgestuur na Ai,^g wat naby Bet-Awen is, oos van Bet-El,^h en vir hulle gesê: “Gaan verken die land.” Die manne het Ai dus gaan verken. **3** Toe hulle na Josua teruggekeer het, het hulle vir hom gesê: “Dit is nie nodig vir al die manne om te gaan nie. Sowaat 2 000 of 3 000 manne is genoeg om Ai te verslaan. Moenie al die manne moeg maak deur hulle soontoe te stuur nie, want daar is min mense wat daer woon.”

4 Toe het omtrent 3 000 manne soontoe gegaan, maar hulle moes vir die manne van Ai vlug.ⁱ **5** Die manne van Ai het 36 manne doodgemaak, en hulle het hulle van buite die stadspoort tot by Seba'rim* agterna gesit en hulle op die afdraand bly doodgemaak. Die volk het dus heeltemal moed verloor.^h

6 Toe het Josua sy klere geskeur en met sy gesig na die

7:5 *Beteken “klipgroewe”. ^h Lett. “se hart het gesmelt en soos water geword”.

grond toe voor die Ark van Jehovah neergeval, hy en die ouermanne van Israel, en hulle het tot die aand toe daar gebly en stof op hulle koppe blygooli. **7** Josua het gesê: "Ag, Soewereine Heer Jehovah, hoekom het u hierdie volk al die pad oor die Jordaanrivier gebring net om ons in die hand van die Amoriete te gee om vernietig te word? As ons maar net tevrede was om aan die ander kant* van die Jordaanrivier te bly! **8** Verskoon my, o Jehovah, maar wat kan ek sê nou dat Israel gevlug het* vir sy vyande? **9** Wanneer die Kanaäniete en al die inwoners van die land hiervan hoor, sal hulle ons omsingel en ons naam van die aarde af uitwis, en wat sal u omtrent u groot naam doen?"^a

10 Jehovah het Josua geantwoord: "Staan op! Hoekom lê jy op die grond? **11** Israel het gesondig. Hulle het die verbond verbreek^b wat ek hulle beveel het om te hou. Hulle het van die goed gevat wat vernietig moes word.^c Hulle het dit gesteel^d en dit in die geheim by hulle eie besittings gesit.^e **12** Daarom sal die Israëliete nie hulle vyande kan oorwin nie. Hulle sal van hulle vyande af wegvlug, want hulle is nou iets wat vernietig moet word. Ek sal nie weer met julle wees tensy julle dit wat vernietig moet word, onder julle uitroei nie.^f **13** Staan op en heilig die volk!^g Sê vir hulle: 'Heilig julle vir môre, want dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: "Dit wat vernietig moet word, is onder julle, o Israel. Julle sal nie julle vyande kan oorwin tensy julle ontslae raak van dit wat vernietig moet word nie. **14** Julle moet môre-

7:7 *D.w.s. die oostekant. 7:8 *Of "sy rug gedraai het".

HFST. 7

a De 32:26, 27
Ps 106:8
Ps 143:11
Ese 20:9

b Eks 24:7

c Jos 6:17

d Eks 20:15

e Jos 7:21

f De 7:26
Jos 6:18
Jes 59:2

g Eks 19:10

Tweede kol.

a Spr 16:33

b Jos 1:18
Jos 7:25

c Eks 24:7

d Ge 38:30
Nu 26:20
1Kr 2:4, 6

e Spr 16:33
Han 5:3

f Ge 10:10

oggend stam vir stam bymekaar-kom, en die stam wat Jehovah kies,^a sal nader kom, familie vir familie, en die familie wat Jehovah kies, sal nader kom, huisgesin vir huisgesin, en die huisgesin wat Jehovah kies, sal nader kom, man vir man. **15** En die een wat gevang word met die items wat vernietig moet word, sal verbrand word,^b hy en alles wat aan hom behoort, omdat hy die verbond van Jehovah verbreek het^c en omdat hy iets skandeliks in Israel gedoen het."^d

16 Toe het Josua die volgende oggend vroeg opgestaan en Israel stam vir stam laat nader kom, en die stam van Juda is gekies. **17** Hy het die families van Juda laat nader kom, en toe is die familie van die Seragiete^d gekies. Daarna het hy die familie van die Seragiete laat nader kom, man vir man, en toe is Sabdi gekies. **18** Laastens het hy Sabdi se huisgesin laat nader kom, man vir man, en Agan, die seun van Karmi, die seun van Sabdi, die seun van Serag, van die stam van Juda, is gekies.^e

19 Toe het Josua vir Agan gesê: "My seun, gee asseblief eer aan Jehovah, die God van Israel, en erken jou skuld aan hom. Sê asseblief vir my wat jy gedoen het. Moet dit nie vir my wegsteek nie."

20 Agan het Josua geantwoord en gesê: "Dit is waar. Ek is die een wat teen Jehovah, die God van Israel, gesondig het, en dit is wat ek gedoen het: **21** Toe ek 'n mooi ampskleed uit Si'near^f tussen die buit sien, en 200 sikkels* silwer en een goudstaaf wat 50 sikkels weeg, wou ek dit hê, en toe vat

7:21 *'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

ek dit. Dit is in die grond onder my tent weggesteek, en die geld lê daaronder.”

22 Josua het dadelik boodskappers gestuur, en hulle het na die tent gehardloop, en die kleed was inderdaad in sy tent weggesteek, met die geld daaronder. **23** Toe het hulle die items uit die tent geneem en dit na Josua en al die Israëliete gebring en dit voor Jehovah neergesit. **24** Josua en die hele Israel saam met hom het Agan,^a die seun van Serag, toe geneem, sowel as die silwer, die ampskleed, die goudstaaf,^b sy seuns, sy dogters, sy bul, sy donkie, sy kudde, sy tent en alles wat aan hom behoort het, en hulle het hulle na die Agorvallei^c gebring. **25** Josua het gesê: “Hoekom het jy rampspoed* oor ons gebring?^d Vandag gaan Jehovah rampspoed oor jou bring.” Toe het die hele Israel hom met klippe doodgegooi,^e en daarna het hulle hulle verbrand.^f So is hulle almal met klippe doodgegooi. **26** En hulle het hom bedek met 'n groot hoop klippe wat tot vandag toe nog daar is. Toe het Jehovah se brandende woede bedaar.^g Daarom word daardie plek tot vandag toe die Agorvallei* genoem.

8 Toe het Jehovah vir Josua gesê: “Moenie bang wees of vrees nie.^h Neem al die vegters saam met jou en gaan op teen Ai. Kyk, ek het die koning van Ai, sy volk, sy stad en sy land in jou hand gegee.ⁱ **2** Jy moet met Ai en sy koning doen net soos jy met Je'rigo en sy koning gedoen het,^j maar hierdie keer mag julle die stad stroop en die

7:25 *Of “moeilikheid; verwerping”.

7:26 *Beteken “vallei van rampspoed (verwerping)”.

HFST. 7

a Jos 22:20

b Jos 6:19

c Jos 15:7,12
Jes 65:10
Ho 2:15

d Jos 6:18
1Kr 2:7

e Le 24:14
Jos 1:18

f Jos 7:15

g De 13:17

HFST. 8

h De 7:18
De 31:8
Jos 1:9
Jes 12:2
Ro 8:31

i Ps 44:3

j Jos 6:2, 21

Tweede kol.

a Jos 7:5

b Jos 8:16

c Jos 8:19, 28

d Jos 8:1, 3

e Jos 8:2

f Ge 28:19

vee vir julle neem. Laat van die manne agter die stad wegkruip.”

3 Toe het Josua en al die vegters teen Ai opgetrek. Josua het 30 000 magtige vegters gekies en hulle in die nag uitgestuur. **4** Hy het vir hulle die volgende bevel gegee: “Gaan kruip agter die stad weg. Moenie baie ver van die stad af gaan nie, en julle moet almal gereed wees. **5** Ek en al die manne by my sal in die rigting van die stad gaan, en wanneer hulle uitkom om teen ons te veg soos die vorige keer,^a sal ons vir hulle vlug. **6** Wanneer hulle agter ons aan kom, sal ons hulle van die stad af weglok, want hulle sal sê: ‘Hulle vlug vir ons net soos die vorige keer.’^b En ons sal vir hulle vlug. **7** Dan moet julle uit julle skuilplek opstaan en die stad inneem. Jehovah julle God sal dit in julle hand gee. **8** Sodra julle die stad ingeneem het, moet julle dit aan die brand steek.^c Julle moet doen wat Jehovah sê. Dit is my instruksies.”

9 Daarna het Josua hulle uitgestuur, en hulle het na die plek gegaan waar hulle sou wegkruip, tussen Bet-El en Ai, wes van Ai, maar Josua het daardie nag by die manne gebly.

10 Nadat Josua die oggend vroeg opgestaan en die soldate bymekaargekry* het, het hy en die ouerманne van Israel hulle na Ai gelei. **11** Al die vegters^d wat by hom was, het tot voor die stad gegaan. Hulle het noord van Ai kamp opgeslaan, met die vallei tussen hulle en Ai. **12** Intussen het hy omtrent 5 000 manne geneem en hulle laat wegkruip^e tussen Bet-El^f en Ai, wes van die stad. **13** Die manne het die hoofkamp noord

8:10 *Of “geïnspekteer”.

van die stad opgeslaan,^a en die agterste deel van die leërmag wes van die stad.^b Josua het daardie nag na die middel van die vallei gegaan.

14 En toe die koning van Ai dit sien, het hy en die manne van die stad vroeg die oggend haastig uitgegaan om teen Israel te gaan veg op 'n sekere plek wat oor die woestynvlakte uitkyk. Maar hy het nie geweet dat daar manne was wat agter die stad wegkruip nie. **15** Toe die manne van Ai Israel aanval, het Josua en die hele Israel al langs die pad in die rigting van die wildernis gevlug.^c **16** Toe is al die manne in die stad opgeroep om hulle agterna te sit, en terwyl hulle Josua agternagesit het, is hulle van die stad af weggekruip. **17** Elke man van Ai en Bet-El het agter Israel aan gegaan. Hulle het die stad wawyd oopgelos en Israel agternagesit.

18 Jehovah het toe vir Josua gesê: "Steek die spies in jou hand na Ai toe uit,^d want ek sal die stad in jou hand gee."^e Josua het dus die spies in sy hand na die stad toe uitgesteek. **19** Die oomblik toe hy sy hand uitsteek, het die manne wat weggekruip het, vinnig uit hulle skuilplek opgestaan, in die stad ingehardloop en dit ingeneem. Hulle het die stad onmiddellik aan die brand gesteek.^f

20 Toe die manne van Ai omkyk, het hulle die rook uit die stad sien opstyg, en hulle kon nie hierdie kant toe of daardie kant toe vlug nie. Toe het die manne wat na die wildernis gevlug het, omgedraai en teen hulle agtervolgers begin veg. **21** Toe Josua en die hele Israel sien dat die manne wat weggekruip het, die stad ingeneem het en hoe die rook uit die stad opstyg, het hulle om-

HFST. 8

a Jos 8:5

b Jos 8:4

c Jos 8:6

d Eks 17:11
Jos 8:26

e De 7:24

f Jos 8:8, 28

Tweede kol.

a Le 27:29
De 7:2

b Jos 8:29
Jos 12:7, 9

c Eks 17:11
Jos 8:18

d Le 27:29

e Jos 8:2

f Jos 8:8

g De 21:22, 23

h De 11:29
De 27:4, 5

gedraai en die manne van Ai aangeval. **22** En die ander het uit die stad uitgekom om hulle te ontmoet, en die manne van Ai was vasgekeer met Israeliete aan albei kante, en hulle het hulle almal doodgemaak. Daar was geen oorlewendes nie, en niemand het ontsnap nie.^a **23** Maar hulle het die koning van Ai^b lewend gevang en hom na Josua toe gebring.

24 Nadat Israel al die inwoners van Ai doodgemaak het in die veld, in die wildernis waar hulle agternagesit het, en nadat elkeen van hulle met die swaard doodgemaak is, het die hele Israel na Ai teruggegaan en die oorblywende inwoners met die swaard doodgemaak. **25** Almal wat op daardie dag doodgemaak is, mans sowel as vrouens, was altesaam 12 000 – die hele bevolking van Ai. **26** Josua het nie sy hand waarmee hy die spies uitgesteek het,^c teruggetrek tot dat al die inwoners van Ai vernietig is nie.^d **27** Maar Israel het die vee en die buit van daardie stad vir hulle geneem, volgens die bevel wat Jehovah aan Josua gegee het.^e

28 Toe het Josua Ai verbrand en dit vir altyd 'n verwoeste stad* gemaak,^f soos dit vandag nog is. **29** Hy het die koning van Ai tot die aand toe aan 'n paal* gehang, en net voordat die son ondergegaan het, het Josua die bevel gegee dat sy lyk van die paal afgehaal moet word.^g Toe het hulle dit by die ingang van die stadspoort gegooi en hom met 'n groot hoop klippe bedek, wat tot vandag toe nog daar is.

30 Toe het Josua op die berg Ebal^h 'n altaar gebou vir Jeho-

8:28 *Of "n ruïne". 8:29 *Of "boom".

vah, die God van Israel, **31** net soos Moses die kneg van Jehovah die Israeliete beveel het en soos dit in die Wetboek^a van Moses geskryf is: “n Altaar van heel klippe wat nie met enige ystergereedskap bewerk is nie.”^b Hulle het brandoffers aan Jehovah sowel as vrede-offers* daarop geoffer.^c

32 Toe het hy daar op die klippe 'n afskrif gemaak van die Wet^d wat Moses voor die Israeliete geskryf het.^e **33** Die hele Israel, hulle ouermanne, die beamptes en hulle regters het aan albei kante van die Ark gestaan, voor die Levitiese priesters wat die ark van die verbond van Jehovah gedra het. Die uitlanders sowel as die gebore Israeliete was daar.^f Die een helfte van hulle het voor die berg Geri'sim gestaan, en die ander helfte voor die berg Ebal^g (net soos Moses die kneg van Jehovah voorheen beveel het),^h sodat die volk Israel gesien kon word. **34** Daarna het hy al die woorde van die Wetⁱ hardop gelees, die seëninge^j en die vloeke,^k net soos dit in die Wetboek geskryf is. **35** Josua het elke woord wat Moses beveel het, hardop gelees vir die hele gemeente van Israel,^l insluitende die vrouens, die kinders en die uitlanders^m wat onder hulle gewoon* het.ⁿ

9 Toe die nuus al die konings bereik het wat aan die westekant van die Jordaanrivier was,^o naamlik dié wat gewoon het in die bergstreek, die Sje'ela, al langs die kus van die Grootsee^p en voor die Li'banon-berge – die Hetiete, die Amoriete, die Kanaäniete, die

8:31 *Of “gemeenskapsoffers”. **8:35** *Lett. “gewandel”. **9:1** *Die Middellandse See.

HFST. 8

- a De 31:9
 Jos 1:8
 b Eks 20:25
 c De 27:6,7
 d De 27:2,3
 e Eks 24:4
 Eks 34:27
 f Le 24:22
 Nu 15:16
 g De 27:12,13
 h De 11:29
 i De 31:9
 Ne 8:3
 j De 28:2
 k De 27:15
 De 28:15
 l De 4:2
 De 12:32
 m Le 24:22
 Nu 15:16
 n De 29:10,11
 De 31:12
 Ne 8:2

HFST. 9

- o Jos 12:7,8
 p Nu 34:2,6

Tweede kol.

- a Ge 15:18-21
 Eks 3:17
 Eks 23:23
 De 7:1
 b Jos 24:11
 c Jos 10:2
 Jos 11:19
 d Jos 6:20
 e Jos 8:24
 f Jos 5:10
 Jos 10:43
 g Ge 10:15,17
 Ge 34:2
 Eks 3:8
 h Eks 34:12
 De 7:2
 De 20:16-18
 i De 20:10,15
 j Eks 9:16
 Eks 15:13,14
 Jos 2:9,10
 k Nu 21:21-24
 De 2:32-34
 l Nu 21:33-35
 De 3:3
 m De 20:10,11

Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete^a – **2** het hulle byme-kaargekom om saam teen Josua en Israel te veg.^b

3 Die inwoners van Gi'beon^c het ook gehoor wat Josua aan Je'rigo^d en Ai^e gedoen het. **4** Toe het hulle 'n plan uitgedink en padkos in ou sakke gesit, en hulle het dit sowel as ou, gearste wynsakke wat toegewerk is, op hulle donkies gelaai. **5** Hulle het ook deurgeloopte sandale wat reggemaak is en ou, stukkende klere gedra. Al hulle brood was droog en krummelrig. **6** Toe het hulle na Josua toe gegaan in die kamp by Gilgal^f en vir hom en die manne van Israel gesê: “Ons het uit 'n ver land gekom. Maak dan nou 'n verbond met ons.” **7** Maar die manne van Israel het vir die Hewiete^g gesê: “Miskien woon julle hier naby ons. Hoe kan ons dan 'n verbond met julle maak?”^h **8** Hulle het Josua geantwoord: “Ons is u knegte.”ⁱ

Toe het Josua vir hulle gevra: “Wie is julle, en waar kom julle vandaan?” **9** Hulle het toe vir hom gesê: “U knegte het uit 'n baie ver land gekom,^j uit respek vir die naam van Jehovah u God, want ons het gehoor van sy roem en van alles wat hy in Egipte gedoen het!^k **10** en van alles wat hy aan die twee konings van die Amoriete gedoen het wat aan die ander kant* van die Jordaanrivier was, naamlik koning Sihon^k van Hesbon en koning Og^l van Basan, wat in As'tarot was. **11** Toe het die ouermanne en al die inwoners van ons land vir ons gesê: ‘Neem padkos saam vir die reis en gaan na hulle toe. Sê vir hulle: “Ons sal julle knegte wees.”^m

9:8 *Of “slawe”. **9:10** *D.w.s. die oostekant.

Maak dan nou 'n verbond met ons."^a **12** Hierdie brood wat ons as ons padkos saamgeneem het, was nog warm op die dag toe ons ons huise verlaat het om na julle toe te kom. Nou is dit droog en krummelrig, soos julle kan sien.^b **13** En hierdie wynsakke was nuut toe ons dit vol gemaak het, maar nou het dit gebars.^c En ons klere en sandale is stukkend omdat die reis baie lank was."

14 Toe het die manne van Israel van hulle padkos geneem,* maar hulle het nie Jehovah se leiding gevra nie.^d **15** Josua het toe vrede gemaak met hulle^e en 'n verbond met hulle gemaak om hulle te laat lewe, en die hoofmanne van die gemeenskap het dit met 'n eed bevestig.^f

16 Drie dae nadat hulle 'n verbond met hulle gemaak het, het hulle gehoor dat hulle daar naby, in hulle omgewing, woon. **17** Toe het die Israeliete vertrek en by hulle stede gekom, naamlik Gi'beon,^g Kefira, Be'erot en Kir'jat-Jea'rim.^h **18** Maar die Israeliete het hulle nie aangeval nie omdat die hoofmanne van die gemeenskap vir hulle 'n eed gesweer het by Jehovah,ⁱ die God van Israel. Daarom het die hele gemeenskap van Israel teen die hoofmanne begin kla. **19** Toe het al die hoofmanne vir die hele gemeenskap van Israel gesê: "Ons het 'n eed gesweer by Jehovah, die God van Israel, en daarom kan ons niks aan hulle doen nie. **20** Dit is wat ons sal doen: Ons sal hulle laat lewe, sodat God nie vir ons woedend word as gevolg van die eed wat ons vir hulle gesweer het nie."^j **21** En die hoofmanne het bygevoeg: "Laat hulle lewe, maar laat hul-

HFST. 9

a Jos 9:6

b Jos 9:5

c Jos 9:4

d Nu 27:18, 21
1Sa 30:7, 8

e Jos 11:19

f 2Sa 21:2

g Jos 10:2

h Jos 18:11, 14
1Sa 7:1
1Kr 13:5

i Nu 30:2
De 6:13

j 2Sa 21:1
Ps 15:4
Pr 5:4, 6

Tweede kol.

a Jos 9:6, 16

b Ge 9:25, 26

c De 7:1
De 20:16

d De 2:25
De 11:25
Jos 5:1

e Heb 11:31

f Jos 9:21

g 1Kn 8:29
2Kr 6:6

h 1Kr 9:2
Esr 7:24
Esr 8:17
Ne 3:26
Ne 7:60

HFST. 10

i Jos 8:24, 29

j Jos 6:2, 21

k Jos 9:9, 15
Jos 11:19

l De 2:25
De 11:25
Jos 2:10, 11
Jos 5:1

le houtkappers en waterdraers vir die hele gemeenskap van Israel word." Dit is wat die hoofmanne die Israeliete belowe het.

22 Josua het toe die Gibeoniete geroep en vir hulle gevra: "Hoekom het julle ons bedrieg deur te sê: 'Ons kom van 'n plek wat baie ver van julle af is,' terwyl julle eintlik hier onder ons woon?"^a **23** Van nou af is julle vervloek,^b en julle sal altyd sla-we wees wat hout kap en water aandra vir die huis van my God." **24** Hulle het vir Josua gesê: "Dit was omdat daar duidelik vir u knegte gesê is dat Jehovah u God sy kneg Moses beveel het om die hele land aan julle te gee en om al die inwoners voor julle dood te maak.^c Ons het dus vir ons lewens* gevrees as gevolg van julle,^d en daarom het ons dit gedoen.^e **25** Nou is ons in u hande. Doen met ons wat u ook al dink goed en reg is." **26** En dit is wat Josua met hulle gedoen het: Hy het hulle gered uit die hand van die Israeliete, en hulle het hulle nie doodgemaak nie. **27** Maar op daardie dag het Josua hulle houtkappers en waterdraers gemaak vir die gemeenskap van Israel^f en vir Jehovah se altaar op die plek wat Hy sou uitkies,^g en dit is wat hulle tot vandag toe is.^h

10 Koning Ado'ni-Se'dek van Jerusalem het gehoor dat Josua Ai ingeneem en vernietig het en dat hy met Ai en sy koningⁱ gedoen het net soos hy met Je'rigo en sy koning^j gedoen het en dat die inwoners van Gi'beon met Israel vrede gemaak het^k en onder hulle bly. **2** Daarom het hy baie bang geword,^l want Gi'beon was 'n groot stad, soos een van die koninklike stede. Dit was groter

9:24 *Of "siele".

9:14 *Of "geïnspekteer".

as Ai,^a en al die manne van die stad was vegters. **3** Toe het koning Ado'ni-Se'dek van Jerusalem die volgende boodskap aan koning Hoham van He'bron,^b koning Piram van Jarmut, koning Ja'fia van Lagis en koning Debir van Eglon^c gestuur: **4** "Kom help my, en laat ons Gi'beon aanval, want hulle het vrede gemaak met Josua en die Israeliete."^d **5** Toe het die vyf konings van die Amoriete^e – die koning van Jerusalem, die koning van He'bron, die koning van Jarmut, die koning van Lagis en die koning van Eglon – bymekaargekom saam met hulle leërmagte en by Gi'beon kamp opgeslaan om daarteen te veg.

6 Toe het die manne van Gi'beon die volgende boodskap aan Josua in die kamp by Gilgal^f gestuur: "Moenie u slawe in die steek laat nie.^g Kom gou! Red ons en help ons! Al die konings van die Amoriete van die bergstreek het teen ons bymekaargekom." **7** Toe het Josua saam met die hele leërmag en die magtige vegters uit Gilgal opgetrek.^h

8 Jehovah het toe vir Josua gesê: "Moenie vir hulle bang wees nie,ⁱ want ek het hulle in jou hand gegee.^j Nie een van hulle sal jou kan oorwin nie."^k

9 Josua het hulle onverwags aangeval nadat hy die hele nag lank van Gilgal af gemarsjeer het. **10** Jehovah het hulle voor Israel verwar,^l en die Israeliete het baie van hulle by Gi'beon met 'n groot slagting doodgemaak en hulle al langs die opraand van Bet-Horon agternagesit en hulle doodgemaak tot by Ase'ka en Makke'da. **11** Terwyl hulle op die afdraand van Bet-Horon vir Israel gevlug het, het Jehovah groot haelstene uit die lug op hulle

HFST. 10

a Jos 8:25

b Ge 23:2
Nu 13:22c Jos 12:7,
10-12d Jos 9:9,15
Jos 11:19

e Ge 15:16

f Jos 5:10

g Jos 9:25, 27

h Jos 8:3

i De 3:2
De 20:1j De 7:24
Jos 11:6

k Jos 1:3-5

l Ps 44:3

Tweede kol.

a 2Kn 20:10
Ps 135:6
Jes 38:8

b Jes 28:21

c 2Sa 1:17, 18

d De 9:18, 19
1Kn 17:22
Jak 5:16e De 1:30
Jos 23:3f Jos 5:10
Jos 9:6

g Jos 10:10

h Jos 10:28

i De 28:7

laat val, tot by Ase'ka, en hulle het gesterf. Meer mense het gesterf as gevolg van die hael as van die swaard van die Israeliete.

12 Dit was toe, op die dag dat Jehovah die Amoriete voor die oë van die Israeliete verslaan het, dat Josua voor Israel vir Jehovah gesê het:

"Son, staan stil^a bo
Gi'beon,^b

en maan, staan stil bo
die A'jalon-vallei!"

13 Daarom het die son en die maan stilgestaan totdat die nasie wraak geneem het op sy vyande. Is dit nie in die boek van Jasar^c geskryf nie? Die son het in die middel van die lug stilgestaan en was omtrent 'n hele dag lank nog sigbaar. **14** Daar was nog nooit voor daardie tyd of ná daardie tyd so 'n dag nie, 'n dag waarop Jehovah na die stem van 'n man geluister het^d nie, want Jehovah het vir Israel geveg.^e

15 Daarna het Josua en die hele Israel na die kamp by Gilgal^f teruggekeer.

16 Intussen het die vyf konings gevlug en in die grot by Makke'da^g weggekruip. **17** Toe is daar vir Josua gesê: "Die vyf konings is gevind waar hulle in die grot by Makke'da^h wegkruip." **18** Toe het Josua gesê: "Rol groot klippe voor die opening van die grot en stel manne aan om wag te hou. **19** Maar die res van julle moenie stilstaan nie. Sit julle vyande agterna, en val hulle van agter af aan.ⁱ Moenie toelaat dat hulle in hulle stede ingaan nie, want Jehovah julle God het hulle in julle hand gegee."

20 Josua en die Israeliete het baie van hulle doodgemaak. Nadat hulle amper almal van hulle

doodgemaak het, behalwe vir 'n paar wat ontsnap het en in die versterkte stede ingegaan het, **21** het al die manne veilig na Josua in die kamp by Makke'da teruggekeer. Niemand het dit gewaag om enigiets te sê* teen die Israëliete nie. **22** Josua het toe gesê: "Maak die opening van die grot oop en bring die vyf konings uit die grot uit na my toe."

23 Toe het hulle hierdie vyf konings uit die grot uit na hom toe gebring: die koning van Jerusalem, die koning van He'bron, die koning van Jarmut, die koning van Lagis en die koning van Eglon.^a **24** Hulle het hierdie konings na Josua toe uitgebring, en hy het al die manne van Israel bymekaargeroep en vir die bevelvoerders van die vegters wat saam met hom gegaan het, gesê: "Kom nader. Sit julle voete op die agterkant van die nekke van hierdie konings." Toe het hulle nader gekom en hulle voete op die agterkant van hulle nekke gesit.^b **25** Toe het Josua vir hulle gesê: "Moenie bang wees of vrees nie.^c Wees moedig en sterk, want dit is wat Jehovah sal doen met al julle vyande teen wie julle veg."^d

26 Toe het Josua hulle doodgemaak en hulle aan vyf pale* gehang, en hulle het tot die aand toe aan die pale bly hang. **27** Teen sonder het Josua beveel dat hulle van die pale afgehaal moet word^e en in die grot gegooi moet word waar hulle weggekruip het. Toe is groot klippe voor die opening van die grot gesit, en dit is tot vandag toe nog daar.

28 Op daardie dag het Josua Makke'da^f ingeneem en die inwoners daarvan met die swaard doodgemaak. Hy het die stad se

10:21 *Lett. "sy tong skerp gemaak".
10:26 *Of "bone".

HFST. 10

a Jos 10:3-5
Jos 12:7,
10-12

b Eks 23:27

c De 31:6
Jos 1:9

d De 3:21
De 7:18, 19

e De 21:22, 23
Jos 8:29

f Jos 10:10
Jos 15:20, 41

Tweede kol.

a De 20:16

b Jos 12:7, 16

c Jos 15:20, 42
Jos 21:13

d Jos 12:7, 15

e Jos 6:2, 21

f Jos 10:3, 4
Jos 12:7, 11
Jos 15:20, 39

g De 20:16

h Jos 12:7, 12
Jos 16:10
Jos 21:20, 21
1Kn 9:16

i Jos 10:3, 4
Jos 12:7, 12
Jos 15:20, 39

j De 20:16
Jos 10:32

k Ge 13:18
Ge 23:19
Nu 13:22
Jos 10:3, 4
Jos 15:13
Jos 21:13

koning en al die inwoners vernietig sonder om 'n enkele oorlewende te laat oorbly.^a Hy het met die koning van Makke'da^b gedoen net soos hy met die koning van Je'rigo gedoen het.

29 Toe het Josua en die hele Israel van Makke'da na Libna gegaan en teen Libna^c geveg. **30** Jehovah het hierdie stad en sy koning^d ook in Israel se hand gegee, en hulle het die stad en almal daarin met die swaard doodgemaak sonder om 'n enkele oorlewende te laat oorbly. Hulle het met sy koning gedoen net soos hulle met die koning van Je'rigo gedoen het.^e

31 Daarna het Josua en die hele Israel van Libna na Lagis^f gegaan en daar kamp opgeslaan en daarteen geveg. **32** Jehovah het Lagis in Israel se hand gegee, en hulle het dit op die tweede dag ingeneem. Hulle het die stad en almal daarin met die swaard doodgemaak,^g net soos hulle met Libna gedoen het.

33 Toe het koning Horam van Geser^h gegaan om Lagis te help, maar Josua het hom en sy volk doodgemaak totdat daar nie 'n enkele oorlewende oorgebly het nie.

34 Daarna het Josua en die hele Israel van Lagis na Eglonⁱ gegaan en daar kamp opgeslaan en daarteen geveg. **35** Hulle het dit op daardie dag ingeneem en die inwoners daarvan met die swaard doodgemaak. Hulle het almal daarin op daardie dag vernietig, net soos hulle met Lagis gedoen het.^j

36 Toe het Josua en die hele Israel van Eglon na He'bron^k gegaan en daarteen geveg. **37** Hulle het die stad ingeneem en die koning en die inwoners van die stad en van die omliggende stede met die swaard doodgemaak sonder om

'n enkele oorlewende te laat oorbly. Hy het die stad en almal daarin vernietig, net soos hy met Eglon gedoen het.

38 Laastens het Josua en die hele Israel in die rigting van Debir^a gegaan en daarteen geveg. **39** Hy het die stad en al die omliggende stede ingeneem, en hulle het die koning en al die inwoners met die swaard doodgemaak en almal daarin vernietig.^b Hy het nie 'n enkele oorlewende laat oorbly nie.^c Hy het met Debir en sy koning gedoen net soos hy met He'bron en Libna en sy koning gedoen het.

40 Josua het die hele land van die bergstreek, die Negeb, die Sjefe^d en die heuwelhange en al hulle konings verower. Hy het nie 'n enkele oorlewende laat oorbly nie. Hy het alles vernietig wat asemhaal,^e net soos Jehovah, die God van Israel, beveel het.^f **41** Josua het hulle van Ka'des-Barne^a af tot by Gasa^h verower, asook die hele land Gosenⁱ tot by Gi'beon.^j **42** Josua het al hierdie konings en hulle gebied op een slag verower, want Jehovah, die God van Israel, het vir Israel geveg.^k **43** Toe het Josua en die hele Israel na die kamp by Gilgal^l teruggekeer.

11 Toe koning Jabin van Hasor daarvan gehoor het, het hy 'n boodskap gestuur aan koning Jobab van Madon,^m sowel as aan die koning van Simron, die koning van Afsaf,ⁿ **2** die konings in die noordelike bergstreek, die konings in die vlaktes* suid van Kinnetret, die konings in die Sjefe^{la} en op die heuwelhange van Dor^o in die weste, **3** die Kanaäniete^p in die ooste en die weste, die Amoriete,^q die Hetie-

HFST. 10

a Jos 12:7, 13

Jos 15:15

b De 7:2

c Jos 11:14

d Jos 9:1, 2
Rig 1:9

e Le 27:29
De 20:16
Jos 11:14

f De 7:2
De 9:5

g Nu 34:2, 4
De 9:23

h De 2:23

i Jos 15:20, 51

j Jos 11:16, 19

k Eks 14:14
De 1:30

l Jos 4:19

HFST. 11

m Jos 12:7, 19

n Jos 12:7, 20

o Jos 17:11
Rig 1:27

p Nu 13:29

q Ge 15:16

Tweede kol.

a De 7:1
De 20:17

b De 4:48

c Jos 10:8

d De 17:16
Spr 21:31

e Jos 21:44

f Ge 10:19
Jos 19:28, 31

g Jos 13:1, 6

h De 20:16

i Jos 11:6

j Jos 12:7, 19

k Le 27:29

l De 20:16
Jos 11:14

te, die Perissiete, die Jebusiete in die bergstreek en die Hewiete^a aan die voet van Hermon^b in die land Mispa. **4** Toe het hulle met hulle leërmagte uitgegaan, 'n groot skare wat so baie was soos die sandkorrels op die strand, saam met 'n baie groot aantal perde en strydwagens. **5** Al hierdie konings het ingestem om bymekaar te kom, en hulle het saam by die waters van Merom kamp opgeslaan om teen Israel te veg.

6 Toe het Jehovah vir Josua gesê: "Moenie vir hulle bang wees nie,^c want omtrent hierdie tyd môre sal ek hulle aan Israel oorlewer en sal hulle almal dood wees. Julle moet hulle perde se hakskeesenings afsny^d en hulle strydwagens verbrand." **7** Josua en al die vegters het hulle toe onverwags aangeval by die waters van Merom. **8** Jehovah het hulle in Israel se hand gegee,^e en hulle het hulle verslaan en hulle agternagesit tot by Groot-Sidon^f en Mis'refot-Ma'im^g en die Vallei van Mispé in die ooste, en hulle het hulle doodgemaak totdat daar nie 'n enkele oorlewende oorgebly het nie.^h **9** Josua het toe met hulle gedoen net soos Jehovah vir hom gesê het. Hy het hulle perde se hakskeesenings afgesny en hulle strydwagens verbrand.ⁱ

10 Josua het toe na Hasor teruggekeer en dit ingeneem, en hy het die koning daarvan met die swaard doodgemaak,^j want Hasor was voorheen die hoof van al hierdie koninkryke. **11** Hulle het al die inwoners* daarvan met die swaard doodgemaak en hulle heeltemal vernietig.^k Niks wat asemhaal, is gespaar nie.^l Toe het hy Hasor

11:2 *Of "Araba".

11:11 *Of "al die siele".

afgebrand. **12** Josua het al die stede van hierdie konings ingeneem en al hulle konings met die swaard doodgemaak.^a Hy het hulle vernietig,^b net soos Moses die kneg van Jehovah beveel het. **13** Maar Israel het nie enige van die stede afgebrand wat op 'n heuwel gestaan het nie, behalwe Hasor. Dit was die enigste een wat Josua afgebrand het. **14** Die Israeliete het al die buit van hierdie stede sowel as die vee vir hulleself gevat.^c Maar hulle het elke mens met die swaard doodgemaak,^d totdat hulle almal uitgeroei het. Hulle het niemand gespaar nie.^e **15** Al die instruksies wat Jehovah aan sy kneg Moses gegee het, het Moses aan Josua oorgegedra,^f en Josua het dit uitgevoer. Daar was nie 'n enkele instruksie wat Jehovah aan Moses gegee het wat Josua nie uitgevoer het nie.^g

16 Josua het hierdie hele land verower, naamlik die bergstreek, die hele Negeb,^h die hele land Gosen, die Sje-fe'la,ⁱ die A'raba^j en die bergstreek van Israel en sy voetheuwels.^{*} **17** van die berg Halak af, wat naby Seir is, en tot by Baäl-Gad^k in die Li'banon-vallei aan die voet van die berg Hermon,^l en hy het al hulle konings verslaan en hulle doodgemaak. **18** Josua het 'n hele ruk lank teen al hierdie konings oorlog gevoer. **19** Daar was nie 'n enkele stad wat vrede gemaak het met die Israeliete nie, behalwe die Hewiete wat in Gi'beon gewoon het.^m Hulle het al die ander stede met geweld oorgeneem.ⁿ **20** Dit was Jehovah wat hulle toegelaat het om hardkoppig te word^o en om oorlog teen Israel te voer, sodat hy hulle kon vernietig son-

11:16 *Of "Sjefela".

- HFST. 11
- a De 9:5
- b De 7:2, 16
- c Jos 8:2, 27
- d De 7:2
- e De 20:16
- f De 3:28
De 7:1
De 31:7
- g De 4:2, 5
- h Nu 13:17
De 1:7
- i Jos 10:40, 41
- j Jos 12:7, 8
- k Jos 13:1, 5
- l De 4:48
Jos 13:8, 11
- m Jos 9:7, 15
- n De 20:17
- o De 2:30

Tweede kol.

- a Eks 34:12
De 7:2
- b De 20:16
- c Nu 13:22
De 1:28
Jos 15:13, 14
- d Le 27:29
Jos 11:12
Jos 24:11
- e Eks 23:28-30
- f Rig 1:18
- g 1Sa 17:4
- h 2Kr 26:1, 6
- i Eks 23:27
De 11:23
- j Nu 26:53, 54
Jos 14:1
- k Jos 14:15
Jos 21:44
Jos 23:1

- HFST. 12
- l De 2:24
- m De 3:8
- n De 4:47-49
- o Nu 21:23, 24
- p De 3:12
- q Nu 21:13
- r Joh 6:1

der om enige genade aan hulle te betoon.^a Hulle moes vernietig word, net soos Jehovah Moses beveel het.^b

21 In daardie tyd het Josua die Enakiete^c uitgeroei in die bergstreek, in He'bron, Debir, Anab en die hele bergstreek van Juda en die hele bergstreek van Israel. Josua het hulle en hulle stede vernietig.^d **22** Daar het geen Enakiete in die land van die Israeliete oorgebly nie.^e Hulle het net in Gasa,^f Gat^g en Asdod^h oorgebly. **23** So het Josua beheer verkry oor die hele land, net soos Jehovah Moses belowe het,ⁱ en toe het Josua vir elke stam van Israel die deel van die land gegee wat hulle as 'n erfdeel moes kry.^j En die land het vrede gehad, en daar was nie oorlog nie.^k

12 En dit is die konings van die land wat die Israeliete verslaan het, wie se land hulle in besit geneem het aan die oostekant van die Jordaanrivier, van die Arnon-vallei^{*l} af tot by die berg Hermon^m en die hele A'raba in die ooste:ⁿ **2** Die een was koning Sihon^o van die Amoriëte, wat in Hesbon gewoon het en wat regeer het oor A'roër,^p aan die rand van die Arnon-vallei,^{*q} en oor die gebied van die middel van die vallei af tot by die Jabbok-vallei^r en oor die helfte van Gi'lead. (Die Jabbokstroom was die grens van die Ammoniete.) **3** Hy het ook regeer oor die A'raba tot by die Kinne'ret-see^{*r} in die ooste en tot by die See van die A'raba, die Soutsee,^s aan die oostekant in die rigting van Bet-Je'simot,

12:1, 2 *Of "wadi Arnon". Sien Woordelys. 12:2 *Of "wadi Jabbok". Sien Woordelys. 12:3 *Die Meer van Gennesaret, of die See van Galilea. ^rDie Doorie See.

en tot in die suide onder die hange van Pisga.^a

4 Die ander een was koning Og^b van Basan, een van die laaste Refaïete,^c wat in As'tarot en Edre'ï gewoon het. **5** Hy het regeer oor die gebied van die berg Hermon, oor Salka en oor die hele Basan,^d tot by die grens van die Gesuriete en die Maä-gatiete,^e sowel as oor die helfte van Gi'lead, tot by die gebied van koning Sihon van Hesbon.^f

6 Moses die kneg van Jehovah en die Israeliete het hulle verslaan,^g en daarna het Moses, die kneg van Jehovah, hulle land aan die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se as 'n besitting gegee.^h

7 Josua en die Israeliete het die konings aan die westekant van die Jordaanrivier verslaan, van Baäl-Gadⁱ af in die Li'banonvallei^j tot by die berg Halak,^k wat naby Seïr^l is. Daarna het Josua vir elke stam van Israel die deel van die land gegee wat hulle as 'n besitting moes kry^m

8 in die bergstreek, die Sjefe'-la, die A'raba, die heuwelhange, die wildernis en die Negeb,ⁿ dit wil sê die land van die Hettiete, die Amoriete,^o die Kanaäniete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete,^p en dit was hulle konings:

9 Die koning van Je'rigo,^q die koning van Ai,^r wat langs Bet-El was,

10 die koning van Jerusalem, die koning van He'bron,^s

11 die koning van Jarmut, die koning van Lagis,

12 die koning van Eglon, die koning van Geser,^t

13 die koning van Debir,^u die koning van Geder,

14 die koning van Horma, die koning van Arad,

HFST. 12

a De 3:27

b Nu 21:33-35

c De 3:11

d De 29:7

e Jos 13:13

f Nu 21:26

g Nu 21:23, 24

h Nu 21:33-35

i Nu 32:33

De 3:12, 13

i Jos 13:1, 5

j Jos 1:4

k Jos 11:16, 17

l De 2:12

m Jos 11:23

n Jos 10:40

Jos 11:16

o Ge 15:16

p Eks 3:8

Eks 23:23

De 7:1

q Jos 6:2

r Jos 8:29

s Jos 10:23, 26

t Jos 10:33

u Jos 10:38

Tweede kol.

a Jos 10:29

b Jos 10:28

c Rig 1:22

d Jos 11:1, 10

e Jos 21:34

f Jos 11:1, 2

HFST. 13

g Jos 23:1

Jos 24:29

h Eks 23:29, 30

i 1Sa 27:8

j Ge 10:19

k Rig 3:1, 3

1Sa 6:4

l Jos 15:20, 46

m Rig 14:19

n 2Sa 21:19

o 1Sa 5:10

p De 2:23

q Rig 1:31

r 1Kn 5:18

15 die koning van Libna,^a die koning van Adul'lam,

16 die koning van Makke'-da,^b die koning van Bet-El,^c

17 die koning van Tappu'ag, die koning van Hefer,

18 die koning van Afek, die koning van Lassa'ron,

19 die koning van Madon, die koning van Hasor,^d

20 die koning van Simron-Meron, die koning van Afsaf,

21 die koning van Ta'änag, die koning van Megid'do,

22 die koning van Kedes, die koning van Jok'neam^e by die berg Karmel,

23 die koning van Dor op die heuwelhange van Dor,^f die koning van Gojim in Gilgal

24 en die koning van Tirsas. Daar was altesaam 31 konings.

13 Josua was al baie oud.^g Toe het Jehovah vir hom gesê: "Jy is nou al baie oud, maar 'n groot deel van die land moet nog in besit geneem* word. **2** Dít is die gebied wat nog oorbly:^h al die gebiede van die Filistyne en van die Gesurieteⁱ **3** (van die tak van die Nyl* af wat oos van^j Egipte is tot by die grens van Ekron in die noorde, wat voorheen as Kanaänitiese gebied beskou is),^j insluitende die gebied van die vyf leiers van die Filistyne^k – die Gasiete, die Asdodiete,^l die Askeloniete,^m die Gittieteⁿ en die Ekroniete^o – en die gebied van die Awwiete^p **4** in die suide, die hele land van die Kanaäniete, Me'ara, wat aan die Sidoniërs^q behoort, tot by Afek, tot by die grens van die Amoriete, **5** die land van die Gebaliete^r en die hele Li'banon in die ooste,

13:1 *Of "verower". **13:3** *Of "van Sihar". ^r Lett. "voor".

vanaf Baäl-Gad aan die voet van die berg Hermon tot by Lebo-Hamat,*^a **6** al die inwoners van die bergstreek, van die Li'banon^b af tot by Mis'refot-Ma'im,^c en al die Sidoniërs.^d Ek sal hulle voor die Israeliete uit verdryf.^e Jy moet dit net aan Israel as 'n erfdeel toewys, net soos ek jou beveel het.^f **7** Jy moet hierdie land as 'n erfdeel verdeel onder die nege stamme en die halwe stam van Manas'se."^g

8 Die Rubeniete en die Gadiete het hulle erfdeel saam met die ander halwe stam van Manas'se ontvang. Dit was die erfdeel wat Moses vir hulle aan die oostekant van die Jordaanrivier gegee het, net soos Moses, die kneg van Jehovah, aan hulle toegewys het.^h **9** van A'roërⁱ af, aan die oewer van die Arnonvallei,^j en die stad wat in die middel van die vallei is, en die hele plato^k van Mede'ba tot by Dibon, **10** en al die stede van koning Sihon van die Amoriete, wat in Hesbon regeer het, tot by die grens van die Ammoniete.^k **11** Dit het ook Gi'lead ingesluit, sowel as die gebied van die Gesuriete en die Maägatiete^l en die hele berg Hermon en die hele Basan^m tot by Salka,ⁿ **12** asook die hele koninkryk van Og in Basan, wat in As'tarot en in Edre'i regeer het. (Og was een van die laaste Refaïete.)^o Moses het hulle verslaan en hulle verdryf.^p **13** Maar die Israeliete het nie die Gesuriete en die Maägatiete verdryf nie.^q Die bevolking van Gesur en Ma'ägat woon vandag nog in die gebied van Israel.

14 Dit was net die stam van die Leviëte wat nie 'n erfdeel by

HFST. 13

- a Nu 34:2, 8
- b De 3:25
- c Jos 11:8
- d Rig 3:1-3
- e Eks 23:30
- f Nu 34:17
Jos 14:1
- g Nu 33:54
- h Nu 32:33
Jos 22:4
- i De 3:12
- j Nu 21:13
- k Nu 21:23, 24
- l De 3:14
- m Jos 17:1
- n 1Kr 5:11
- o De 3:11
- p Nu 21:23, 24
Nu 21:33-35
- q Nu 33:55
Jos 23:12, 13

Tweede kol.

- a Nu 18:20
De 10:9
De 12:12
- b Le 7:33-35
De 18:1
- c Nu 18:24
- d Nu 21:25, 26
e Nu 32:37, 38
- f Nu 21:23
- g De 2:26
- h Jos 21:8, 37
- i Nu 32:37, 38
- j De 3:16, 17
- k Nu 33:48, 49
- l Nu 21:25
- m De 2:30
- n Nu 31:7, 8
- o Nu 22:5
2Pe 2:15
- p Nu 22:7
- q Nu 32:34, 35
- r Jos 12:2
Rig 11:13
- s 2Sa 11:1
- t Nu 21:26
- u Ge 32:2
Jos 21:8, 38

hom ontvang het nie.^a Die vuuroffers van Jehovah, die God van Israel, is hulle erfdeel,^b net soos hy hulle belowe het.^c

15 Toe het Moses 'n erfdeel aan elke familie van die stam van die Rubeniete gegee, **16** en hulle het die gebied ontvang van A'roër af, wat aan die oewer van die Arnonvallei* is, en die stad in die middel van die vallei en die hele plato by Mede'ba, **17** sowel as Hesbon en al sy stede^d op die plato, Dibon, Bamot-Baäl, Bet-Baäl-Meon,^e **18** Jahas,^f Kede'mot,^g Mefa'ät,^h **19** Kirjata'im, Sibmaⁱ en Seret-Sahar op die berg van die vallei, **20** Bet-Peor, die hange van Pisga,^j Bet-Je'simot,^k **21** al die stede van die plato en die hele koninkryk van koning Sihon van die Amoriete, wat in Hesbon^l regeer het. Moses het hom verslaan,^m sowel as die Midianitiese hoofmanne Ewi, Rekem, Sur, Hur en Reba,ⁿ konings wat aan Sihon onderworpe was en in die land gewoon het. **22** Bi'leam,^o die waarsêer,^p die seun van Beor, was een van dié wat deur die Israeliete met die swaard doodgemaak is. **23** Die grens van die Rubeniete was die Jordaanrivier, en hierdie gebied was die erfdeel van die families van die Rubeniete, met die stede en die omliggende dorpies.

24 Verder het Moses 'n erfdeel aan die stam van Gad gegee, aan elke familie van die Gadiete, **25** en hulle gebied het Jaser^q en al die stede van Gi'lead ingesluit, sowel as die helfte van die land van die Ammoniete^r tot by A'roër, wat oorkant Rabba^s is. **26** Dit het ook die gebied van Hesbon^t tot by Ramat-Mispe en Be'tonim ingesluit, en van Mahana'im^u tot by die grens van

13:5 *Of "die ingang van Hamat".
13:9, 16 *Of "wadi Arnon". Sien Woordelys.
13:9 #Of "hoogvlakte".

Debir, **27** en Bet-Haram, Bet-Nimra,^a Sukkot^b en Safon, wat in die vallei is, die res van die koninkryk van koning Sihon van Hesbon,^c naamlik die oostekant van die Jordaanrivier tot aan die Kinne'ret-see.*^d **28** Dit was die erfdeel van die families van die Gadiete, met die stede en die omliggende dorpie.

29 Moses het ook 'n erfdeel aan elke familie van die halwe stam van Manas'se gegee.^e **30** Hulle gebied het gestrek van Mahana'im^f af en het die hele Basan ingesluit, die hele koninkryk van koning Og van Basan, en al die tentdorpe van Jarir^g in Basan, **60** plekke. **31** En die helfte van Gi'lead, sowel as As'tarot en Edre'i,^h die stede van die koninkryk van Og in Basan, is gegee aan die kinders van Magir,ⁱ die seun van Manas'se, aan die helfte van die kinders van Magir, volgens hulle families.

32 Dit is die erfdele wat Moses aan hulle gegee het in die woestynvlaktes van Moab, aan die ander kant van die Jordaanrivier, oos van Je'rigo.^j

33 Maar Moses het nie aan die stam van die Leviëte 'n erfdeel gegee nie.^k Jehovah, die God van Israel, is hulle erfdeel, net soos hy hulle belowe het.^l

14 Dit is wat die Israeliete as 'n erfdeel in die land Kanaän geneem het, wat die priester Elea'sar en Josua, die seun van Nun, en die hoofde van die vaderhuise van die stamme van Israel as 'n erfdeel aan hulle gegee het.^m **2** Hulle erfdeel is deur middel van die lot toegeewys,ⁿ net soos Jehovah die nege en 'n half stamme deur Moses beveel het.^o **3** Moses het die

13:27 *Die Meer van Gennesaret, of die See van Galilea.

HFST. 13

- a Nu 32:34, 36
b Ge 33:17
c Nu 21:26
d Nu 34:2, 11
De 3:16, 17
Joh 6:1
e De 3:13
f 1Kr 6:77, 80
g Nu 32:40, 41
De 3:14
h Nu 21:33
i Nu 32:39
j Nu 32:33
k De 10:9
Jos 18:7
l Nu 18:24
Nu 26:62, 63
De 18:1

HFST. 14

- m Nu 34:17
Jos 19:51
n Nu 26:55
Nu 33:54
Spr 16:33
Han 13:19
o Nu 34:13

Tweede kol.

- a Nu 32:29
b De 10:9
Jos 13:14
c Ge 48:5
1Kr 5:2
d Ge 48:19, 20
e Nu 35:7
Jos 21:1, 2
f Nu 35:2, 5
g Jos 4:19
Jos 10:43
h Nu 32:11, 12
i Nu 13:26
j Nu 12:7, 8
k De 1:35, 36
l Nu 13:2, 6
m Nu 13:30
Nu 14:6, 7
n Nu 14:24
Nu 32:11, 12
o De 1:36
p Jos 21:45
q Nu 14:29, 30
r Nu 14:33

ander twee en 'n half stamme 'n erfdeel aan die ander kant* van die Jordaanrivier gegee,^a en hy het nie aan die Leviëte 'n erfdeel onder hulle gegee nie.^b

4 Die nakomelinge van Josef is as twee stamme beskou,^c Manas'se en E'fraim,^d maar die Leviëte het nie 'n deel van die land ontvang nie, behalwe stede^e om in te woon en weivelde vir hulle vee.^f **5** Die Israeliete het die land dus verdeel net soos Jehovah Moses beveel het.

6 Toe het die manne van Juda na Josua toe gekom in Gilgal,^g en Kaleb,^h die seun van Jefon'e, die Kenissiet, het vir hom gesê: "Jy weet goed wat Jehovah in Ka'des-Barne'aⁱ oor my en jou vir Moses, die man van die ware God,^j gesê het.^k **7** Ek was 40 jaar oud toe Moses, die kneg van Jehovah, my van Ka'des-Barne'a af gestuur het om die land te verken,^l en ek het met 'n eerlike verslag* teruggekeer.^m **8** Al het my broers wat saam met my gegaan het, die volk laat moed verloor,* het ek Jehovah my God heelhartigⁿ gevolg.ⁿ **9** Moses het op daardie dag gesweer: 'Die land waarop jy geloop het, sal vir jou en jou seuns 'n permanente erfdeel word omdat jy Jehovah my God heelhartig gevolg het.^o **10** Net soos Jehovah belowe het,^p het hy my lewe bewaar^q hierdie 45 jaar sedert Jehovah hierdie belofte aan Moses gemaak het, toe Israel deur die wildernis getrek het.^r Nou is ek 85 jaar oud, en ek lewe nog steeds. **11** En ek is vandag nog net so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het. My

14:3 *D.w.s. die oostekant. **14:7** *Lett. "met 'n woord net soos dit in my hart was". **14:8** *Lett. "die hart van die volk laat smelt". ⁿLett. "ten volle; volkome".

krag om oorlog te voer en om ander dinge te doen, is nou net soos dit destyds was. **12** Gee my dus hierdie bergstreek wat Jehovah op daardie dag belowe het. Jy het op daardie dag gehoor dat daar Enakiete^a met groot versterkte stede^b is, maar Jehovah sal beslis* met my wees,^c en ek sal hulle verdryf, net soos Jehovah belowe het."^d

13 Toe het Josua hom gesê en He'bron aan Kaleb, die seun van Jefun'ne, as 'n erfdeel gegee.^e **14** Daarom behoort He'bron tot vandag toe aan Kaleb, die seun van Jefun'ne, die Kenissiet, want hy het Jehovah, die God van Israel, heelhartig gevolg.^f **15** Die naam van He'bron was voorheen Kirjat-Arba^g (Arba was die belangrikste man onder die Enakiete). En die land het vrede gehad, en daar was nie oorlog nie.^h

15 Die land wat aan die families van die stam van Juda toegewys is,ⁱ het gestrek tot by die grens van Edom,^j die wildernis Zin, tot by die suidelike punt van die Negeb. **2** Hulle suidelike grens was van die verste punt van die Soutsee,^k van die suidelike baai af. **3** En dit het suidwaarts verby die opdraand van Akrab'bim^l na Zin gestrek. Dit het van die suide opgegaan na Ka'des-Barne'a,^m toe na Hesron en op na Addar, en dit het met 'n draai na Karka gegaan. **4** Toe het dit verder gestrek na Asmonⁿ en na die Vallei* van Egipte,^o en die grens het geëindig by die See.^p Dit was hulle suidelike grens.

14:12 *Of "waarskynlik". **15:1** *Of "deur middel van die lot toegewys is". **15:2, 5** *Die Dooie See. **15:4** *Of "Wadi". Sien Woordelys. [#]Die Grootsee, die Middellandse See.

HFST. 14

- a Nu 13:33
- b Nu 13:22, 28
- c Nu 14:8
- Ro 8:31
- d Jos 15:14
- Rig 1:20
- e Jos 10:36, 37
- Jos 15:13
- Jos 21:11, 12
- 1Kr 6:55, 56
- f Nu 14:24
- De 1:35, 36
- Jos 14:8
- g Ge 23:2
- h Le 26:6
- Jos 11:23

HFST. 15

- i Nu 26:55
- j Ge 36:19
- k Nu 34:2, 3
- l Rig 1:36
- m Nu 34:4
- n Nu 34:2, 5
- o 1Kn 8:65

Tweede kol.

- a Nu 34:12
- b Jos 18:19, 20
- c Jos 18:21, 22
- d Jos 18:17, 20
- e Jos 7:26
- f Jos 5:8, 9
- g Jos 18:17, 20
- h 1Kn 1:9
- i Jos 18:16, 20
- 2Kn 23:10
- Jer 7:31
- j Rig 1:21
- k Jos 18:28
- Rig 19:10
- l Jos 18:15, 20
- m Jos 9:16, 17
- 2Sa 6:2
- 1Kr 13:6
- n Jos 21:8, 16
- o Jos 19:43, 48
- Rig 14:1, 2
- 2Kr 28:18
- p 1Sa 5:10
- 1Sa 7:14
- 2Kn 1:2
- q Nu 34:2, 6
- De 11:24

5 Die oostelike grens is gevorm deur die Soutsee* tot by die monding van die Jordaanrivier, en die grens by die noordelike hoek was by die baai van die see, by die monding van die Jordaanrivier.^a **6** Die grens het na Bet-Hogla opgegaan^b en noord van Bet-A'raba gegaan,^c en dit het opgegaan na die klip van Bohan,^d die seun van Ruben. **7** Die grens het opgegaan na Debir by die Agor-vallei^e en het noordwaarts na Gilgal^f gegaan, wat voor die opdraand van Adum'mim is wat suid van die vallei* is, en die grens het na die waters van En-Semes geloop^g en by En-Rogel^h geëindig. **8** Die grens het opgegaan na die Vallei van die Seun van Hinnom,ⁱ na die suidelike helling van Jebus,^j dit wil sê Jerusalem,^k en die grens het opgegaan na die spits van die berg wat op die Hinnom-vallei in die weste uitkyk, wat aan die noordelike end van die Refa'im-vallei is. **9** En die grens het geloop van die spits van die berg af na die fontein van die waters van Nefto'ag^l en het verder geloop na die stede van die berg Efron, en na Ba'ala, dit wil sê Kir'jat-Jea'rim.^m **10** Die grens het van Ba'ala af weswaarts met 'n draai na die berg Seir gegaan en het na die noordelike hang van die berg Jea'rim, dit wil sê Ke'salon, geloop, en dit het na Bet-Semesⁿ afgegaan en na Timna^o geloop. **11** En die grens het na die noordelike helling van Ekron^p geloop, en verder na Sik'keron en het oor die berg Ba'ala geloop na Jab'neël, en die grens het by die see geëindig.

12 Die westelike grens was by die Grootsee*^q en sy kus. Dit

15:7 *Of "wadi". Sien Woordelys. **15:8** *Lett. "die Jebusiet". **15:12** *Die Middellandse See.

was die grense van die families van die stam van Juda.

13 En Josua het aan Kaleb,^a die seun van Jefun'ne, 'n aandeel onder die nakomelinge van Juda gegee, soos Jehovah hom beveel het, naamlik Kirjat-Arba (Arba was die vader van Enak), dit wil sê He'bron.^b **14** Toe het Kaleb die drie seuns van Enak daaruit verdryf:^c Sesai, Ahi'man en Talmi.^d **15** Daarna het hy teen die inwoners van Debir opgetrek.^e (Die naam van Debir was voorheen Kirjat-Sefer.) **16** Kaleb het toe gesê: "Ek sal my dogter Agsa as vrou gee aan die man wat Kirjat-Sefer verslaan en inneem." **17** En Ot'niël,^f die seun van Kenas,^g Kaleb se broer, het dit ingeneem. Daarom het Kaleb sy dogter Agsa^h aan hom as vrou gegee. **18** Op pad huis toe het sy by hom aangedring om haar pa vir 'n stuk grond te vra. Toe het sy van haar donkie afgeklim.* Kaleb het haar gevra: "Wat wil jy hê?"ⁱ **19** Sy het gesê: "Seën my asseblief met 'n geskenk, want Pa het vir my 'n stuk grond in die suide* gegee. Gee vir my ook Gullot-Maim."[†] Toe het hy vir haar Bo-Gullot en Onder-Gullot gegee.

20 Dit was die erfdeel van die families van die stam van Juda.

21 Die stede aan die verstepunt van die stam van Juda naby die grens van Edom[†] in die suide was: Kab'seël, Eder, Jagur, **22** Kina, Dimo'na, Adada, **23** Kedes, Hasor, Jitnan, **24** Sif, Telem, Be'alot, **25** Hasor-Hadat'ta, Ke'rijot-Hes'ron, dit wil sê Hasor, **26** Amam, Sema,

15:18 *Of moontlik "haar hande geklap terwyl sy op die donkie was". **15:19** *Of "Negeb". †Beteken "komme (bakke) water".

HFST. 15

a Nu 13:30
De 1:36

b Ge 23:2
Ge 35:27
Jos 20:7
Jos 21:11, 12

c Nu 13:33
Jos 11:21

d Nu 13:22
Rig 1:10, 20

e Jos 10:38, 39

f Rig 3:9-11

g 1Kr 4:13

h 1Kr 2:49

i Rig 1:14, 15

j Nu 34:2, 3
De 2:5

Tweede kol.

a Jos 19:1, 2

b Ne 11:25, 26

c Ge 21:31
Jos 19:1-3

d Nu 14:44, 45
Jos 19:1, 4
Rig 1:17

e Jos 19:1, 5
1Sa 27:5, 6
1Kr 12:1

f Jos 19:1, 7
Ne 11:25, 29

g Rig 1:9

h Jos 19:40, 41
Rig 16:31

i 1Sa 22:1

j 1Sa 17:1

k 1Sa 17:52

l 2Kn 18:14

m Jos 10:28

n Jos 10:29
2Kn 8:22

o Jos 19:1, 7

p 1Sa 5:1

q Ge 10:19

r Nu 34:2, 5

s Jos 21:8, 14

t 1Kr 6:57

u Jos 11:16

v 2Sa 15:12

Mo'lada,^a **27** Hasar-Gadda, Hesmon, Bet-Pelet,^b **28** Hasar-Sual, Berse'ba,^c Bisjot'ja, **29** Ba'ala, Ijjim, Esem, **30** El'tolad, Kesil, Horma,^d **31** Siklag,^e Madman'na, Sansan'na, **32** Leba'ot, Silhim, Ajin en Rimmon^f - altesaam **29** stede en die omliggende dorpie.

33 In die Sjeve'la^g was daar: Esta'ol, Sora,^h Asna, **34** Sano'ag, En-Gannim, Tappu'ag, Enam, **35** Jarmut, Adul'lam,ⁱ Sogo, Ase'ka,^j **36** Saära'im,^k Adita'im, Gede'ra en Gederota'im* - **14** stede en die omliggende dorpie.

37 Senan, Hada'sa, Migdal-Gad, **38** Di'lean, Mispe, Jok'teël, **39** Lagis,^l Boskat, Eglon, **40** Kabbon, Lagmam, Kitlis, **41** Gede'rot, Bet-Dagon, Naäma en Makke'da^m - **16** stede en die omliggende dorpie.

42 Libna,ⁿ Eter, Asan,^o **43** Jifta, Asna, Nesib, **44** Kehi'la, Agsib en Mare'sa - nege stede en die omliggende dorpie.

45 Ekron en sy afhanklike* dorpe en sy dorpie, **46** van Ekron af weswaarts, alles langs Asdod en die omliggende dorpie.

47 Asdod,^p sy afhanklike* dorpe en sy dorpie, Gasa,^q sy afhanklike dorpe en sy dorpie, tot by die Valle^r van Egipte, die Grootsee^a en die aangrensende gebied.^r

48 En in die bergstreek: Samir, Jattir,^s Sogo, **49** Danan, Kirjat-Sanna, dit wil sê Debir, **50** Anab, Este'mo,^t Anim, **51** Gosen,^u Holon en Gilo^v - **11** stede en die omliggende dorpie.

15:36 *Of moontlik "Gedera en sy skaapkrake". **15:45**, **47** *Of "omliggende". **15:47** *Of "Wadi". Sien Woordelys. ^aDie Middellandse See.

52 Arab, Duma, Esan, 53 Janim, Bet-Tappu'ag, Afe'ka, 54 Humta, Kirjat-Arba, dit wil sê He'bron,^a en Sior - nege stede en die omliggende dorpies.

55 Maon,^b Karmel, Sif,^c Jutta, 56 Jis'reël, Jok'deam, Sano'ag, 57 Kajin, Gi'bea en Timna^d - tien stede en die omliggende dorpies.

58 Halhul, Bet-Sur, Gedor, 59 Ma'arat, Bet-Anot en El'tekon - ses stede en die omliggende dorpies.

60 Kirjat-Baäl, dit wil sê Kirjat-Jea'rim,^e en Rabba - twee stede en die omliggende dorpies.

61 In die wildernis: Bet-A'rabaa,^f Middin, Sega'ga, 62 Nibsan, die Soutstad en En-Gedi^g - ses stede en die omliggende dorpies.

63 Maar die manne van Juda kon nie die Jebusiete^h in Jerusalemⁱ verdryf nie,^j en daarom woon die Jebusiete vandag nog in Jerusalem onder die volk van Juda.

16 En die land wat deur middel van die lot^k aan die nakomelinge van Josef^l toegewys is, het gestrek vanaf die Jordaanrivier by Je'rigo tot by die waters oos van Je'rigo, deur die wildernis wat van Je'rigo af tot in die bergstreek van Bet-El strek.^m 2 Dit het van Bet-El af gestrek, wat aan Lus behoort, na die grens van die Arkiete by A'tarot, 3 en toe het dit weswaarts na die grens van die Jafletiete afgegaan tot by die grens van Onder-Bet-Horonⁿ en Geser,^o en dit het by die see geëindig.

4 Josef se nakomelinge,^p Manas'se en E'fraim, het hulle grond toe in besit geneem.^q 5 Die grens van die families van die stam van E'fraim was soos volg: Die grens van hulle erfdeel

HFST. 15

- a Jos 14:15
- b 1Sa 23:25
- c 1Sa 25:2, 3
- d 1Sa 23:14
- e Ge 38:12
- f Jos 9:16, 17
- g Jos 18:11, 14
- h 1Sa 7:1
- i Jos 18:21, 22
- j 1Sa 23:29
- k Ge 10:15, 16
- l 1Kr 11:4
- m Nu 33:55
- n Rig 1:8, 21
- o Rig 19:11
- p 2Sa 5:6

HFST. 16

- k Nu 26:55
- l Nu 33:54
- m Spr 16:33
- n Ge 49:22
- o De 33:13
- p Jos 18:11, 13
- q Jos 18:11, 13
- r 1Kr 7:24
- s 1Kr 7:20, 28
- t P Ge 48:5
- u De 33:13-15
- v Jos 17:17, 18

Tweede kol.

- a Jos 18:11, 13
- b 2Kr 8:1, 5
- c Jos 17:7
- d Jos 6:20, 26
- e Jos 17:8
- f Nu 34:2, 6
- g Jos 17:9
- h Rig 1:29
- i Nu 33:52, 55
- j Jos 17:13

HFST. 17

- k Nu 26:55
- l Nu 33:54
- m Spr 16:33
- n Ge 41:51
- o Ge 46:20
- p Ge 48:17, 18
- q De 21:17
- r Ge 50:23
- s Nu 26:29
- t 1Kr 7:14
- u De 3:13
- v Jos 13:31
- w P Rig 6:11
- x q Nu 26:29-32
- y r Nu 26:33

in die ooste was A'tarot-Ad'dar^a tot by Bo-Bet-Horon,^b 6 en die grens het tot by die see gestrek. Mig'metat^c was in die noorde, en die grens het met 'n draai ooswaarts na Ta'anat-Si'lo en verder oos na Jano'ag geloop. 7 Toe het dit van Jano'ag na A'tarot en Na'ara afgegaan, verby Je'rigo,^d tot by die Jordaanrivier. 8 Van Tappu'ag^e af het die grens verder weswaarts na die vallei van Kana* geloop, en dit het by die see geëindig.^f Dit is die erfdeel van die families van die stam van E'fraim. 9 Die nakomelinge van E'fraim het stede met omliggende dorpies binne die erfdeel van Manas'se gehad.^g

10 Maar hulle het nie die Kanaäniete verdryf wat in Geser gewoon het nie,^h en die Kanaäniete woon vandag nog onder E'fraimⁱ en is gedwing om as slaawe te werk.^j

17 Toe het die lot^k vir die stam van Manas'se^l geval, want hy was Josef se eersgeborene.^m Omdat Magir,ⁿ die eersgeborene van Manas'se en die pa van Gi'lead, 'n goeie vegter was, het hy Gi'lead en Basan ontvang.^o 2 En die lot het vir die res van die families van die stam van Manas'se geval, vir die seuns van Abiëser,^p die seuns van Helek, die seuns van As'riël, die seuns van Sigem, die seuns van Hefer en die seuns van Semi'da. Dit was die nakomelinge van Manas'se, die seun van Josef, die mans volgens hulle families.^q 3 Maar Selof'had,^r die seun van Hefer, die seun van Gi'lead, die seun van Magir, die seun van Manas'se, het nie seuns gehad nie, net dogters, en dit was die name van sy dogters: Magla, Noa, Hogla, Milka

16:8 *Of "wadi van Kana". Sien Woordelys.

en Tirsar. **4** Toe het hulle voor die priester Elea'sar,^a Josua, die seun van Nun, en die hoofman verskyn en gesê: "Dit was Jehovah wat Moses beveel het om ons 'n erfdeel onder ons broers te gee."^b Daarom het hy hulle, op Jehovah se bevel, 'n erfdeel onder hulle pa se broers gegee.^c

5 Behalwe die land Gi'lead en Basan, wat aan die ander kant* van die Jordaanrivier is, het Manas'se nog tien ander toegewese dele ontvang,^d **6** want die dogters van Manas'se het 'n erfdeel saam met sy seuns ontvang, en die land Gi'lead het die eiendom van die res van die nakomelinge van Manas'se geword.

7 En die grens van Manas'se was van Aser tot by Mig'metat,^e wat oorkant Sigem^f is, en die grens het suidwaarts* geloop tot by die land van die inwoners van En-Tappu'ag. **8** Die land van Tappu'ag^g het Manas'se s'n geword, maar die stad Tappu'ag op die grens van Manas'se het aan die nakomelinge van E'fraim behoort. **9** En die grens het suid van die vallei van Kana* geloop. Daar was stede van E'fraim tussen die stede van Manas'se,^h en die grens van Manas'se was noord van die vallei,ⁱ en dit het by die see geëindig.^j **10** Die suidelike deel daarvan het aan E'fraim behoort, en die noordelike deel aan Manas'se, en die see was die grens.^j In die noorde het Manas'se se gebied* tot by Aser gestrek, en in die ooste tot by Is'saskar.

11 In die gebiede van Is'saskar en Aser het Manas'se Bet-

17:5 *D.w.s. die oostekant. 17:7 *Lett. "na regs". 17:9 *Of "wadi van Kana". Sien Woordelys. #Of "wadi". Sien Woordelys. 17:10 *Lett. "het hulle".

HFST. 17

a Nu 27:1, 2
Nu 34:17
Jos 14:1

b Nu 27:7, 11

c Nu 36:6, 12

d Jos 13:29

e Jos 16:5, 6

f Jos 20:7
Jos 24:1
1Kr 6:66, 67

g Jos 16:8

h Jos 16:9

i Jos 16:8

j Nu 34:2, 6

Tweede kol.

a 2Kn 9:27

b Jos 12:7, 23

c 1Sa 28:7

d Jos 12:7, 21

e Rig 1:27

f Jos 16:10
Rig 1:30
2Kr 8:8

g Eks 23:33
Nu 33:55
De 20:16, 17
Jos 23:12, 13
Rig 1:28

h Nu 33:54

i Ge 48:19
Nu 26:34, 37

j Jos 24:33

k Eks 33:2

l Ge 15:18-20

m Jos 17:11

n Jos 19:17, 18
Rig 6:33

o De 20:1
Rig 1:19

p Jos 17:14

q Nu 33:53
Jos 20:7
Rig 4:5

Sean en sy afhanklike* dorpe, Jib'leam^a en sy afhanklike dorpe, die inwoners van Dor^b en sy afhanklike dorpe, die inwoners van En-Dor^c en sy afhanklike dorpe, die inwoners van Ta'ânag^d en sy afhanklike dorpe en die inwoners van Megid' do en sy afhanklike dorpe ontvang – drie heuvelgebiede.

12 Maar die nakomelinge van Manas'se kon nie hierdie stede in besit neem nie. Die Kanaäniete het in hierdie land bly woon.^e **13** Toe die Israeliete 'n sterk volk geword het, het hulle die Kanaäniete gedwing om as slawe te werk,^f maar hulle het hulle nie heeltemal verdryf nie.^g

14 Die nakomelinge van Josef het vir Josua gesê: "Hoekom het u ons* net een lot^h en een erfdeel gegee? Ons is 'n groot volk, want Jehovah het ons tot nou toe geseën."ⁱ **15** Josua het vir hulle gesê: "As julle so 'n groot volk is en die bergstreek van E'fraim^j vir julle te klein is, moet julle dan na die woud gaan en vir julle daar 'n plek uitkap in die land van die Perisiete^k en die Refaïete."^l **16** Toe het die nakomelinge van Josef gesê: "Die bergstreek is nie vir ons genoeg nie, en al die Kanaäniete wat in die land van die vallei woon, dié in Bet-Sean^m en sy afhanklike* dorpe en dié in die Jis'reël-vallei,ⁿ het strydwaens^o met ysterlemme."^p **17** Toe het Josua vir die huis van Josef, vir E'fraim en Manas'se, gesê: "Julle is 'n groot volk, en julle het groot krag. Julle sal nie net een lot ontvang nie,^p **18** maar die bergstreek sal ook julle s'n wees.^q Dit is 'n woudgebied, maar julle sal

17:11, 16 *Of "omliggende". 17:14 *Lett. "my". 17:16 #Lett. "strydwaens van yster".

dit uitkap, en dit sal die grens van julle gebied wees. Want julle sal die Kanaäniete verdryf, al is hulle sterk en al het hulle strydwaens met ysterlemme.”*^a

18 Toe het die hele gemeenskap van Israel in Silo^b bymekaargekom, en hulle het die tent van samekoms daar opgerig,^c want die land was nou voor hulle onderwerp.^d **2** Maar daar was nog sewe stamme van Israel wie se erfdeel nog nie deur middel van die lot toegewys was nie. **3** Toe het Josua vir die Israëliete gevra: “Hoe lank gaan julle nog uitstel om in te gaan en die land in besit te neem wat Jehovah, die God van julle voorvaders, aan julle gegee het?”^e **4** Bring drie manne van elke stam na my toe wat ek kan uitstuur. Hulle moet vertrek en deur die hele land gaan en ’n beskrywing daarvan saamstel sodat dit as hulle erfdeel verdeel kan word. Dan moet hulle na my toe terugkom. **5** Hulle moet dit in sewe dele onder mekaar verdeel.^f Juda sal in sy gebied in die suide bly,^g en die huis van Josef sal in hulle gebied in die noorde bly.^h **6** En julle moet die beskrywing van die sewe dele van die land saamstel en dit hier na my toe bring, en ek sal vir julle hier voor Jehovah ons God die lot werp.ⁱ **7** Maar die Leviete sal nie ’n deel onder julle ontvang nie,^j want die priesterskap van Jehovah is hulle erfdeel.^k Gad, Ruben en die halwe stam van Manasse^l het alreeds hulle erfdeel aan die oostekant van die Jordaanrivier ontvang. Moses, die kneg van Jehovah, het dit aan hulle gegee.”

8 Die manne het gereedgemaak om te gaan, en Josua het

HFST. 17

a De 20:1
De 31:6
Jos 13:6
Spr 21:31

HFST. 18

b Jos 19:51
Jos 22:9
Rig 21:19

c 1Sa 1:3
1Sa 4:3
Ps 78:60
Jer 7:12
Han 7:44, 45

d Nu 14:8
De 7:22
De 33:29

e Nu 33:53, 55

f Nu 34:13
Jos 19:51

g Jos 15:1

h Jos 16:1, 4

i Nu 26:55
Nu 33:54
Jos 14:2
Spr 16:33
Han 13:19

j Nu 18:20
Jos 13:33

k De 10:9
De 18:1

l De 3:12, 13

Tweede kol.

a Jos 19:51
Rig 21:19

b Spr 16:33

c Nu 33:54
Han 13:19

d Jos 15:1

e Jos 16:1

f Jos 2:1
Jos 16:1

g Jos 7:2

h Ge 28:18, 19

i Jos 16:5

j Jos 10:11
Jos 21:20, 22

k Jos 15:9

l Jos 15:9, 12

die volgende bevel gegee aan dié wat ’n beskrywing van die land moes saamstel: “Gaan deur die land en stel ’n beskrywing daarvan saam en kom terug na my toe, en ek sal vir julle hier voor Jehovah in Silo^a die lot werp.” **9** Toe het die manne vertrek en deur die land gegaan en dit volgens die stede in sewe dele verdeel en dit in ’n boek opgeteken. Daarna het hulle na Josua toe teruggekom in die kamp in Silo. **10** Josua het toe in Silo vir hulle die lot gewerp voor Jehovah.^b Daar het Josua die land onder die Israëliete verdeel volgens hulle dele.^c

11 Die eerste lot was vir die families van die stam van Benjamin, en die gebied van hulle lot was tussen die gebied van Juda^d en die gebied van Josef.^e **12** Aan die noordekant het hulle grens by die Jordaanrivier begin, en dit het opgegaan na die noordelike helling van Je’ri-go^f en weswaarts teen die berg op, en dit het gestrek tot by die wildernis van Bet-Awen.^g **13** En die grens het daarvan na Lus gegaan, by die helling suid van Lus, dit wil sê Bet-El,^h en die grens het afgegaan na A’tarot-Ad’dar,ⁱ op die berg wat suid van Onder-Bet-Horon is.^j **14** Verder het die grens aan die westekant met ’n draai suidwaarts gegaan van die berg af wat suid van Bet-Horon is, en dit het geëindig by Kirjat-Baäl, dit wil sê Kir’jat-Jea’rim,^k ’n stad van Juda. Dit is die westekant.

15 Die suidelike grens het begin by die verste punt van Kir’jat-Jea’rim, en dit het weswaarts gestrek en na die fontein van die waters van Nefto’ag gegaan.^l **16** Die grens het afgegaan na die voet van die berg wat uitkyk op die Vallei van

17:18 *Lett. “strydwaens van yster”.

die Seun van Hinnom,^a wat aan die noordekant van die Re-fa'im-vallei^b is, en dit het afgegaan na die Hinnom-vallei, na die helling suid van Jebus,^{*c} en af na En-Rogel.^d **17** Daarna het die grens in 'n noordelike rigting gegaan na En-Semes en toe na Ge'lilot, wat voor die opdraand van Adummim^e is, en dit het afgegaan na die klip^f van Bohan,^g die seun van Ruben. **18** Dit het toe na die noordelike helling voor die A'raba geloop en toe afgegaan na die A'raba. **19** En die grens het verder gegaan na die noordelike helling van Bet-Hogla^h en het geëindig by die noordelike baai van die Soutsee,^{*i} aan die suidelike end van die Jordaanrivier. Dit was die suidelike grens. **20** En die Jordaanrivier het die oostelike grens gevorm. Dit was al die grense van die erfdeel van die families van die stam van Benjamin.

21 En die stede van die families van die stam van Benjamin was: Je'rigo, Bet-Hogla, Emek-Kesis, **22** Bet-A'raba,^j Semara'im, Bet-El,^k **23** Aw-wim, Para, Ofra, **24** Ke'far-Ammo'ni, Ofni en Geba' – 12 stede en die omliggende dorpies.

25 Gi'beon,^m Rama, Be'ërot, **26** Mispe, Kefi'ra, Moza, **27** Re-kem, Jir'peël, Ta'rala, **28** Sela,ⁿ Ha-Elef, Jebu'si, dit wil sê Jerusalem,^o Gi'bea^p en Kirjat – 14 stede en die omliggende dorpies.

Dit was die erfdeel van die families van die stam van Benjamin.

19 Die tweede lot^q was vir Si'meon, vir die families van die stam van Si'meon.^r Hulle erfdeel was binne-in die erfdeel van Juda.^s **2** Hulle erf-

18:16 *Lett. "die Jebusiet". **18:19** *Die Dooie See.

HFST. 18

a Jos 15:8, 12

Jer 7:31

Jer 19:2

Mt 5:22

b De 2:11

c Jos 15:63

d Jos 15:7, 12

1Kn 1:9

e Jos 15:7, 12

f De 19:14

g Jos 15:6, 12

h Jos 15:6, 12

i Nu 34:12

j Jos 15:6, 12

k Ge 12:8

1Kn 12:28, 29

l Jos 21:8, 17

m Jos 9:16, 17

1Kn 3:4

n 2Sa 21:14

o Jos 15:8, 12

1Kr 11:4

2Kr 3:1

p 1Sa 10:26

HFST. 19

q Jos 18:6

r Ge 46:10

s Ge 49:5, 7

Tweede kol.

a Ge 21:31

Ge 26:32, 33

Jos 15:21, 28

b Jos 15:21, 26

1Kr 4:28-31

c Jos 15:21, 28

d Jos 15:20, 29

e Jos 15:21, 30

f Jos 15:21, 31

1Sa 27:6

g Jos 15:21, 32

h Jos 15:20, 42

1Kr 4:24, 32

1Kr 6:59, 64

i Rig 1:3

j Jos 18:6

k Ge 49:13

l Jos 21:27, 28

m 2Kn 14:25

n Jos 12:7, 20

o Rig 12:8

p Nu 26:27

deel was: Berse'ba^a met Seba, Mo'lada,^b **3** Hasar-Sual,^c Bala, Esem,^d **4** El'tolad,^e Betul, Horma, **5** Siklag,^f Bet-Marka'bot, Hasar-Susa, **6** Bet-Leba'ot^g en Saru'hen – 13 stede en die omliggende dorpies. **7** Daar was ook Ajin, Rimmon, Eter en Asan^h – vier stede en die omliggende dorpies – **8** en al die dorpies om hierdie stede tot by Ba'älät-Be'ër (Rama van die suide). Dit was die erfdeel van die families van die stam van Si'meon. **9** Die erfdeel van die nakomelinge van Si'meon is uit Juda se toegewese deel geneem, want Juda se deel was te groot vir hulle. Daarom het die nakomelinge van Si'meon 'n besitting binne-in hulle erfdeel ontvang.ⁱ

10 Die derde lot^j was vir die families van die stam van Se'bulon,^k en die grens van hulle erfdeel het tot by Sarid gestrek.

11 Hulle grens het weswaarts na Ma'real opgegaan en gestrek tot by Dabbe'set, en daarna het dit gegaan tot by die vallei* voor Jok'neam. **12** En dit het van Sarid af ooswaarts gegaan in die rigting van die sonsopkoms, na die grens van Kislot-Tabor en na Da'berat' en toe na Ja'fia. **13** En van daar af het dit ooswaarts geloop in die rigting van die sonsopkoms na Gat-Hefer,^m na Et-Kasin, na Rimmon en verder na Nea. **14** En die grens het met 'n draai noordwaarts gegaan na Hanna'ton, en dit het by die Vallei van Jif-tag-El geëindig. **15** Daar was ook Kattat, Na'halal, Simron,ⁿ Ji'dala en Betlehem^o – 12 stede en die omliggende dorpies. **16** Dit was die erfdeel van die families van die stam van Se'bulon,^p die stede en die omliggende dorpies.

19:11 *Of "wadi". Sien Woordelys.

17 Die vierde lot^a was vir Is'saskar,^b vir die families van die stam van Is'saskar. **18** En hulle grens was tot by Jis'reël,^c Kesul'lot, Sunem,^d **19** Hafara'im, Sjon, Anaha'rat, **20** Rabbit, Kisjon, Ebes, **21** Remet, En-Gannim,^e En-Hadda en Bet-Passes. **22** En die grens het tot by Tabor^f en Sahasu'ma en Bet-Semes gestrek, en hulle grens het by die Jordaanrivier geëindig - 16 stede en die omliggende dorpies. **23** Dit was die erfdeel van die families van die stam van Is'saskar,^g die stede en die omliggende dorpies.

24 Die vyfde lot^h was vir die families van die stam van Aser.ⁱ **25** En hulle grens was: Helkat,^j Hali, Beten, Agsaf, **26** Allamme'leg, Amad en Misal. En dit het weswaarts tot by die berg Karmel^k en tot by Sihor-Libnat gestrek **27** en ooswaarts teruggegaan na Bet-Dagon en toe na Se'bulon en die Vallei van Jiftag-El in die noorde. Toe het dit na Bet-Emek en Neiel geloop, en dit het tot by Kabul aan die linkerkant gestrek, **28** en na Ebron, Rehob, Hammon, Kana en tot by Groot-Sidon.^l **29** Die grens het teruggegaan na Rama en tot by die versterkte stad Tirus.^m Toe het die grens teruggegaan na Hosa, en dit het geëindig by die see in die streek van Agsib, **30** Umma, Afekⁿ en Rehob^o - 22 stede en die omliggende dorpies. **31** Dit was die erfdeel van die stam van Aser volgens hulle families,^p die stede en die omliggende dorpies.

32 Die sesde lot^q was vir die nakomelinge van Naf'tali, vir die families van die stam van Naf'tali. **33** Hulle grens het geloop van Helef, van die groot boom in Saanan'nim' af, deur Ada'mi-Ne'keb en Jab'neël tot by Lakkum,

- HFST. 19
 a Nu 33:54
 b Ge 49:14
 c Jos 17:16
 Rig 6:33
 1Kn 21:1
 d 1Sa 28:4
 1Kn 1:3
 2Kn 4:8
 e Jos 21:8, 29
 f Rig 4:6
 g Nu 26:25
 h Nu 26:55
 Jos 18:6
 i Ge 49:20
 j Jos 21:8, 31
 k 1Kn 18:19
 l Ge 10:15
 Rig 1:31
 m 2Sa 5:11
 1Kn 5:1
 n Rig 1:31
 o Jos 21:8, 31
 p Nu 26:47
 q Nu 26:55
 Jos 18:6
 r Rig 4:11

Tweede kol.

- a Jos 21:32
 b Jos 11:10
 Rig 4:2
 1Sa 12:9
 c Jos 20:7
 d Rig 1:33
 e Nu 26:50
 f Jos 18:6
 g Ge 49:17
 h Jos 15:20, 33
 Rig 13:2
 i Rig 1:35
 j Jos 10:12
 Jos 21:8, 24
 k Rig 14:1
 l Jos 15:20, 45
 m Jos 21:8, 23
 n Jos 21:8, 24
 o Jon 1:3
 Han 9:36
 p Nu 26:54
 Nu 33:54
 q Rig 18:7
 r Rig 18:29

en dit het geëindig by die Jordaanrivier. **34** Die grens het weswaarts na Asnot-Tabor teruggegaan en het daarvandaan gestrek na Hukkok tot by Se'bulon in die suide en tot by Aser in die weste en tot by Juda by die Jordaanrivier in die ooste. **35** En die versterkte stede was: Tsiddim, Ser, Hammat,^a Rakkat, Kinne'ret, **36** Ada'ma, Rama, Hasor,^b **37** Kedes,^c Edre'i, En-Hasor, **38** Jiron, Migdal-El, Horem, Bet-Anat en Bet-Semes^d - 19 stede en die omliggende dorpies. **39** Dit was die erfdeel van die families van die stam van Naf'tali,^e die stede en die omliggende dorpies.

40 Die sewende lot^f was vir die families van die stam van Dan.^g **41** En die grens van hulle erfdeel was: Sora,^h Esta'ol, Ir-Semes, **42** Saälab'bin,ⁱ A'jalon,^j Jitla, **43** Elon, Timna,^k Ekron,^l **44** El'teke, Gib'beton,^m Ba'älät, **45** Jehud, Bene'-Berak, Gat-Rimmon,ⁿ **46** Me'-Jarkon en Rakkon, en die grens het voor Joppe^o geloop. **47** Maar die gebied van Dan was te klein vir hulle.^p Daarom het hulle gegaan en teen Lesem^q gegee en dit ingeneem en die inwoners daarvan met die swaard doodgemaak. Toe het hulle dit in besit geneem en daarin gaan woon, en hulle het die naam van Lesem na Dan verander, na die naam van hulle voorvader Dan.^r **48** Dit was die erfdeel van die stam van Dan volgens hulle families, die stede en die omliggende dorpies.

49 So het hulle die land volgens die gebiede as 'n erfenis verdeel. Toe het die Israëliete ook 'n erfdeel aan Josua, die seun van Nun, gegee. **50** Op Jehovah se bevel het hulle vir hom die stad gegee waarvoor hy

gevra het, naamlik Timnat-Serag,^a in die bergstreek van E'fraim, en hy het die stad opgebou en daarin gaan woon.

51 Dit was die erfdele wat die priester Elea'sar, Josua, die seun van Nun, en die hoofde van die vaderhuise van die stamme van Israel in Silo^b voor Jehovah, by die ingang van die tent van samekoms,^c deur middel van die lot verdeel het.^d So het hulle die verdeling van die land voltooi.

20 Toe het Jehovah vir Josua gesê: **2** "Sê vir die Israeliete: 'Kies vir julle die vrystede^e uit waaroor ek deur middel van Moses met julle gepraat het, **3** sodat die persoon wat iemand onopsetlik of per ongeluk* doodmaak, daarheen kan vlug. Hierdie stede sal vir julle as 'n beskerming teen die bloedwreker dien.^f **4** Hy moet na een van hierdie stede vlug^g en by die ingang van die stadspoort^h staan en sy saak aan die ouermanne van daardie stad voorlê. Dan moet hulle hom in die stad ontvang en hom 'n plekke, en hy sal by hulle woon. **5** As die bloedwreker hom agtervolg, moet hulle nie die persoon wat iemand doodgemaak het, aan hom oorlewer nie, want hy het sy medemens per ongeluk* doodgemaak, en hy het hom nie voorheen gehaat nie.ⁱ **6** Hy moet in daardie stad bly totdat hy deur die gemeente verhoor word,^j en hy moet daar woon totdat die hoëpriester wat op daardie tyd dien, sterf.^k Dan mag die persoon wat iemand doodgemaak het, terugkeer na die stad waaruit hy gevlug het, en hy mag in sy stad en in sy huis ingaan."^l

7 Toe het hulle heilige status gegee aan die volgende ste-

20:3, 5 *Of "sonder om dit te weet".

HFST. 19

a Jos 24:29, 30

b Rig 21:19
Jer 7:12

c Jos 18:1, 8

d Nu 34:17
Jos 14:1

HFST. 20

e Eks 21:12, 13
Nu 35:14, 15
De 4:41

f Ge 9:6
Eks 21:23
Nu 35:26, 27

g De 19:3

h Spr 31:23

i Nu 35:22-24
De 19:4-6

j Nu 35:12, 24

k Nu 35:25

l Nu 35:28

Tweede kol.

a Jos 21:32

b Ge 33:18
Jos 21:20, 21

c Jos 14:15
Jos 21:13

d Jos 21:8, 36
1Kr 6:77, 78

e Jos 21:8, 38
1Kr 6:77, 80

f Jos 21:27
1Kr 6:71

g De 4:41-43

h Nu 35:11, 15

i Nu 35:12, 24
De 21:5

HFST. 21

j Nu 34:17

k Jos 18:1

l Le 25:33, 34
Nu 35:2-4
Jos 14:4

m Nu 35:8

n Ge 49:5, 7

o Ge 46:11
Nu 3:27-31

p 1Kr 6:54, 55

q Jos 19:1

r 1Kr 6:60, 64

de:* Kedes^a in Galile'a, in die bergstreek van Naf'tali, Sigem^b in die bergstreek van E'fraim en Kirjat-Arba,^c dit wil sê He'bron, in die bergstreek van Juda.

8 In die Jordaanstreek, oos van Je'rigo, het hulle uit die stam van Ruben die stad Beser^d gekies, wat in die wildernis op die plato* is. Hulle het ook Ramot^e in Gi'lead uit die gebied van die stam van Gad en Golan^f in Basan uit die gebied van die stam van Manas'se gekies.^g

9 Dit was die stede wat uitgekies is vir al die Israeliete en die uitlanders wat onder hulle woon, sodat enigeen wat iemand onopsetlik doodmaak, daarheen kon vlug^h en nie deur die bloedwreker doodgemaak word voordat hy deur die gemeente verhoor is nie.ⁱ

21 Die hoofde van die vaderhuise van die Leviëte het toe na die priester Elea'sar,^j Josua, die seun van Nun, en die hoofde van die vaderhuise van die stamme van Israel gegaan. **2** Hulle het vir hulle in Silo^k in die land Kanaän gesê: "Jehovah het deur middel van Moses beveel dat stede aan ons gegee moet word om in te woon, asook die omliggende weivelde vir ons vee."^l **3** Die Israeliete het dus op bevel van Jehovah die volgende stede^m en hulle weivelde uit hulle eie erfdeel aan die Leviëte gegee.ⁿ

4 Die eerste lot was vir die families van die Kehatiëte.^o En die Leviëte wat nakomelinge van die priester Aäron is, het 13 stede ontvang* uit die gebied van die stam van Juda,^p die stam van Si'meon^q en die stam van Benjamin.^r

20:7 *Of "die volgende stede opsygesit". 20:8 *Of "hoogvlakte". 21:4 *Of "deur middel van die lot ontvang".

5 Die res van die Kehatiete het tien stede ontvang uit die gebied van die families van die stam van E'fraim,^a die stam van Dan en die halwe stam van Manas'se.^b

6 Die Gersoniete^c het 13 stede ontvang uit die gebied van die families van die stam van Is'saskar, die stam van Aser, die stam van Naf'tali en die halwe stam van Manas'se in Basan.^d

7 Vir die families van die Merariete^e was daar 12 stede uit die gebied van die stam van Ruben, die stam van Gad en die stam van Se'bulon.^f

8 Die Israeliete het hierdie stede en hulle weivelde deur middel van die lot aan die Leviete gegee, net soos Jehovah deur middel van Moses beveel het.^g

9 Die stam van Juda en die stam van Si'meon het dus die stede wat hier genoem word,^h gegee aan 10 die seuns van Aäron van die Levitiese families van die Kehatiete, want hulle het die eerste lot ontvang.

11 Hulle het Kirjat-Arbaⁱ (Arba was die vader van Enak), dit wil sê He'bron,^j in die bergstreek van Juda, aan hulle gegee, sowel as die omliggende weivelde. 12 Maar hulle het die grond om die stad en die omliggende dorpies aan Kaleb, die seun van Jefun'ne, gegee.^k

13 Hulle het vir die seuns van die priester Aäron die stad He'bron^l met sy weivelde gegee as 'n vrystad vir persone wat iemand doodgemaak het,^m asook Libnaⁿ met sy weivelde, 14 Jattir^o met sy weivelde, Estemo'a^p met sy weivelde, 15 Holon^q met sy weivelde, Debir^r met sy weivelde, 16 Ajin^s met sy weivelde, Jutta^t met sy weivelde en Bet-Semes met sy weivelde - nege stede uit hierdie twee stamme.

HFST. 21

- a 1Kr 6:66
- b 1Kr 6:61, 70
- c Eks 6:17
Nu 3:21, 22
- d Nu 32:33
1Kr 6:62
- e Eks 6:19
- f 1Kr 6:63
- g Nu 35:2, 5
- h 1Kr 6:64, 65
- i Ge 23:2
Ge 35:27
Jos 15:13, 14
Jos 20:7
Rig 1:10
- j 2Sa 2:1
2Sa 15:10
1Kr 6:54-56
- k Rig 1:20
- l Jos 15:20, 54
- m Nu 35:6, 15
- n Jos 15:20, 42
- o Jos 15:20, 48
- p Jos 15:20, 50
- q Jos 15:20, 51
- r Jos 15:20, 49
1Kr 6:57, 58
- s Jos 19:1, 7
- t Jos 15:20, 55

Tweede kol.

- a Jos 9:3
Jos 18:21, 25
- b 1Kr 6:57, 60
- c Jer 1:1
- d Le 25:33, 34
Nu 35:4
- e Jos 20:7
1Kn 12:1
- f Nu 35:11, 15
- g Jos 16:10
- h Jos 16:1, 3
Jos 18:11, 13
- i Jos 10:12
Rig 1:35
2Kr 28:18
- j Jos 17:11
- k Jos 21:6
- l 1Kr 6:71
- m 1Kr 6:72, 73
n Jos 19:12, 16

17 Uit die gebied van die stam van Benjamin: Gi'beon^a met sy weivelde, Geba met sy weivelde,^b 18 A'natot^c met sy weivelde en Almon met sy weivelde - vier stede.

19 Die stede wat aan die priesters, die nakomelinge van Aäron, gegee is, was altesaam 13 stede met hulle weivelde.^d

20 Die res van die Kehatitiese families van die Leviete het deur middel van die lot stede van die stam van E'fraim ontvang. 21 Hulle het Sigem^e met sy weivelde in die bergstreek van E'fraim aan hulle gegee as 'n vrystad vir persone wat iemand doodgemaak het,^f asook Geser^g met sy weivelde, 22 Kibsai'm met sy weivelde en Bet-Horon^h met sy weivelde - vier stede.

23 Uit die gebied van die stam van Dan: El'teke met sy weivelde, Gib'beton met sy weivelde, 24 A'jaloni met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde - vier stede.

25 Uit die gebied van die halwe stam van Manas'se: Ta'anagi met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde - twee stede.

26 Die res van die families van die Kehatiete het altesaam tien stede met hulle weivelde ontvang.

27 Die Levitiese families van die Gersoniete^k het die stad Golan,^l in Basan, met sy weivelde van die halwe stam van Manas'se as 'n vrystad ontvang vir persone wat iemand doodgemaak het, asook Beëste'ra met sy weivelde - twee stede.

28 Uit die gebied van die stam van Is'saskar:^m Kisjon met sy weivelde, Da'beratⁿ met sy weivelde, 29 Jarmut met sy weivelde en En-Gannim met sy weivelde - vier stede.

30 Uit die gebied van die stam van Aser:^a Misal met sy weivelde, Abdon met sy weivelde, **31** Helkat^b met sy weivelde en Rehob^c met sy weivelde - vier stede.

32 Uit die gebied van die stam van Naf'tali: die vrystad^d vir persone wat iemand doodgemaak het, naamlik Kedes^e in Galile'a met sy weivelde, asook Hammot-Dor met sy weivelde en Kartan met sy weivelde - drie stede.

33 Die families van die Gersoniete het altesaam 13 stede met hulle weivelde ontvang.

34 Die families van die Merariete,^f die res van die Leviete, het van die stam van Se'bulon^g Jok'neam^h met sy weivelde ontvang, sowel as Karta met sy weivelde, **35** Dimna met sy weivelde en Na'halalⁱ met sy weivelde - vier stede.

36 Uit die gebied van die stam van Ruben: Beser^j met sy weivelde, Jahas met sy weivelde,^k **37** Kede'mot met sy weivelde en Mefa'at met sy weivelde - vier stede.

38 Uit die gebied van die stam van Gad:^l die vrystad vir persone wat iemand doodgemaak het, naamlik Ramot in Gi'lead^m met sy weivelde, asook Mahana'imⁿ met sy weivelde, **39** Hesbon^o met sy weivelde en Jaser^p met sy weivelde - altesaam vier stede.

40 Die families van die Merariete, die res van die families van die Leviete, het altesaam 12 stede ontvang.

41 Die Leviete het altesaam 48 stede met hulle weivelde in die Israëliete se gebied ontvang.^q **42** Elkeen van hierdie stede het omliggende weivelde gehad - dit was die geval met al hierdie stede.

HFST. 21

- a 1Kr 6:74, 75
- b Jos 19:25, 31
- c Jos 19:28, 31
- Rig 1:31
- d Nu 35:14, 15
- e Jos 20:7
- f Jos 21:7
- g 1Kr 6:77
- h Jos 19:10, 11
- i Rig 1:30
- j De 4:41-43
- Jos 20:8
- k 1Kr 6:78, 79
- l 1Kr 6:80, 81
- m Jos 20:8, 9
- 1Kn 22:3
- n Ge 32:2
- 2Sa 2:8
- o Nu 21:26
- Nu 32:37
- p Nu 32:1
- q Nu 35:5, 7

Tweede kol.

- a Ge 13:14, 15
- Ge 15:18
- Ge 26:3
- Ge 28:4
- b Eks 23:30
- c Eks 33:14
- De 12:10
- Jos 1:13
- Jos 11:23
- Jos 22:4
- d De 28:7
- e De 7:24
- De 31:3
- f Jos 23:14
- 1Kn 8:56
- Heb 6:18

HFST. 22

- g Nu 32:20-22
- De 3:18
- h Jos 1:16
- i Jos 11:18
- j Nu 32:25-27
- k Jos 21:44
- l Nu 32:33
- m De 6:6
- De 12:32
- 2Kn 21:8
- n De 6:5
- De 11:1
- Mt 22:37
- o De 10:12
- p De 13:4
- 1Jo 5:3
- q De 4:4
- De 10:20
- Jos 23:8
- r De 4:29
- De 11:13
- Mr 12:30, 33
- s De 6:13
- Jos 24:15
- Lu 4:8

43 Jehovah het vir Israel die hele land gegee wat hy met 'n eed aan hulle voorvaders belowe het,^a en hulle het die land in besit geneem en daarin gaan woon.^b **44** Jehovah het hulle ook aan alle kante vrede gegee, net soos hy aan hulle voorvaders met 'n eed belowe het,^c en nie een van hulle vyande kon hulle oorwin nie.^d Jehovah het al hulle vyande in hulle hand gegee.^e **45** Nie een* van al die goeie belofte wat Jehovah aan die huis van Israel gemaak het, het onvervuld gebly nie. Dit het alles waar geword.^f

22 Toe het Josua die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se groep **2** en vir hulle gesê: "Julle het alles gedoen wat Moses, die kneg van Jehovah, julle beveel het,^g en julle het my stem gehoorsaam in alles wat ek julle beveel het.^h **3** Julle het julle broers die hele tyd, tot vandag toe, nie in die steek gelaat nie,ⁱ en julle het die gebod van Jehovah julle God getrou uitgevoer.^j **4** Nou het Jehovah julle God vir julle broers vrede gegee, net soos hy hulle belowe het.^k Julle mag dus nou teruggaan na julle tente in die land wat Moses, die kneg van Jehovah, aan die ander kant* van die Jordaanrivier aan julle gegee het.^l **5** Maar sorg net dat julle die gebod en die Wet uitvoer wat Moses, die kneg van Jehovah, aan julle gegee het:^m Julle moet Jehovah julle God liefhê,ⁿ al sy weë volg,^o gehoorsaam wees aan sy gebooie,^p lo-jaal bly aan hom^q en hom met julle hele hart en met julle hele siel*^r dien."^s

6 Toe het Josua hulle gesien en hulle weggestuur, en

21:45 *Of "'n woord". 22:4 *D.w.s. die oostekant. 22:5 *Sien Woordelys.

hulle het na hulle tente ge- gaan. **7** En Moses het aan die halwe stam van Manas'se 'n erf- deel in Basan gegee,^a en Jo- sua het aan die ander helfte van die stam 'n stuk grond gegee by hulle broers aan die weste- kant van die Jordaanrivier.^b En toe Josua hulle na hulle ten- te weggestuur het, het hy hulle ook geseën **8** en vir hulle ge- sê: “Gaan terug na julle tente met groot rykdom, met baie vee, met silwer en goud, koper en ys- ter en 'n baie groot hoeveelheid klere.^c Deel met julle broers in die besittings wat julle van julle vyande afgeneem het.”^d

9 Daarna het die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se weggetrek van die ander Israeliete af, uit Silo uit, wat in die land Kanaän is, en hulle het na die land Gi'lead te- ruggegaan,^e hulle eie gebied waarin hulle gaan woon het, soos Jehovah hulle deur middel van Moses beveel het.^f **10** Toe hulle in die land Kanaän by die Jordaanrivier kom, het die Ru- beniete, die Gadiete en die hal- we stam van Manas'se daar by die Jordaanrivier 'n altaar ge- bou – 'n groot, indrukwekkende altaar. **11** Later het die ander Israeliete dit gehoor^g en gesê: “Kyk! Die Rubeniete, die Gadi- te en die halwe stam van Ma- nas'se het 'n altaar gebou op die grens van die land Kanaän, by die Jordaanrivier, aan die kant wat aan die Israeliete behoort.” **12** Toe die Israeliete daarvan hoor, het die hele gemeenskap van Israel in Silo^h bymeekaar- gekom om teen hulle oorlog te voer.

13 Toe het die Israeliete Pi- nehaz,ⁱ die seun van Elea'sar, die priester, na die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se in die land Gi'-

HFST. 22
 a Jos 13:29, 30
 b Jos 17:5
 c De 28:8
 d Nu 31:27
 e Nu 32:1
 f Nu 32:33
 g De 13:12-15
 h Jos 18:1
 Jos 19:51
 i Eks 6:25
 Nu 25:11
 Rig 20:28
 Tweede kol.
 a Nu 1:16
 De 1:13
 b Jos 22:11, 12
 c De 12:13, 14
 d Nu 25:3, 9
 De 4:3
 e Jos 7:1
 Ikr 21:14
 f Nu 34:2
 Jos 1:11
 g Jos 18:1
 h De 12:13, 14
 i Jos 7:1
 j Jos 7:11, 15
 k Jos 7:5
 Jos 7:24, 25

lead gestuur, **14** en tien hoof- manne was saam met hom, een hoofman van elke vaderhuis van al die stamme van Israel, en elke een van hulle was 'n hoof van sy vaderhuis onder die fami- liegroepe* van Israel.^a **15** Toe hulle by die Rubeniete, die Ga- diete en die halwe stam van Ma- nas'se in die land Gi'lead gekom het, het hulle vir hulle gesê:

16 “Dit is wat die hele volk van Jehovah sê: ‘Hoekom het julle ontrou^b aan die God van Israel geword? Vandag het julle opgehou om Jehovah te volg deurdat julle vir julle 'n altaar gebou het en teen Jehovah in opstand gekom het.’^c **17** Was die oortreding van Peor nie ge- noeg vir ons nie? Ons het ons tot vandag toe nog nie daar- van gereinig nie, al het 'n plaag oor die volk van Jehovah ge- kom.^d **18** En julle wil vandag sowaar ophou om Jehovah te volg! As julle vandag teen Je- hovah in opstand kom, sal hy môre kwaad wees vir die hele gemeenskap van Israel.^e **19** Maar as julle eie land on- rein is, trek dan oor na die land van Jehovah,^f waar die taber- nakel van Jehovah is,^g en kom woon tussen ons. Maar moenie teen Jehovah in opstand kom nie, en moenie rebelle van ons maak deur vir julle 'n ander altaar te bou behalwe die al- taar van Jehovah ons God nie.^h **20** Onthou wat gebeur het toe Agan,ⁱ die seun van Serag, 'n daad van ontrouheid gepleeg het in verband met die dinge wat vernietig moes word. Het God nie vir die hele gemeen- skap van Israel woedend ge- word nie?^j Hy was nie die enig- ste man wat vir sy oortreding gesterf het nie.”^k

22:14 *Of “duisende”.

21 Toe het die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se die hoofde van die familie-groepe* van Israel^a geantwoord en gesê: **22** "Die God van die gode, Jehovah!^a Die God van die gode, Jehovah,^b weet, en Israel sal ook weet. As ons opstandig en ontrou aan Jehovah was, moet julle ons nie vandag spaar nie. **23** As ons vir ons 'n altaar gebou het om op te hou om Jehovah te volg en om brandoffers, graanoffers en vrede-offers* daarop te offer, sal Jehovah ons daarvoor straf.^c **24** Nee, ons het dit om 'n ander rede gedoen, want ons het gesê: 'In die toekoms sal julle seuns vir ons seuns sê: "Wat het julle te doen met Jehovah, die God van Israel? **25** Jehovah het die Jordaanrivier as 'n grens gestel tussen ons en julle, die Rubeniete en die Gadiete. Julle het geen deel aan Jehovah nie." En julle seuns sal ons seuns keer om Jehovah te aanbid.'^a

26 "Ons het dus gesê: 'Laat ons 'n altaar bou, nie vir brandoffers of vir offerandes nie, **27** maar sodat dit 'n getuie kan wees tussen julle en ons^d en ons nakomelinge,^e dat ons ons diens aan Jehovah sal verrig met ons brandoffers, ons vrede-offers* en ons ander offerandes,^e sodat julle seuns nie in die toekoms vir ons seuns sal sê: "Julle het geen deel aan Jehovah nie."^a **28** Toe het ons gesê: 'As hulle dit in die toekoms vir ons en ons nakomelinge^e sê, sal ons dan sê: "Kyk na die afbeelding van Jehovah se altaar wat ons voorvaders gemaak het, nie vir brandoffers

22:21, 30 *Of "duisende". **22:22** *Of "Die Goddelike Wese, God, Jehovah". **22:23, 27** *Of "gemeenskapsoffers". **22:25** *Lett. "vrees". **22:27, 28** *Lett. "geslagte".

HFST. 22
a Jos 22:13, 14

b De 10:17

c De 12:11, 13

d Ge 31:48
Jos 24:27

e De 12:5, 6

Tweede kol.
a De 6:14

b De 12:14

c Jos 22:13, 14

of vir offerandes nie, maar sodat dit 'n getuie tussen julle en ons kan wees.'" **29** Ons sal nie eers daaraan dink om teen Jehovah in opstand te kom en om vandag op te hou om Jehovah te volg^a deur 'n ander altaar vir brandoffers, graanoffers en offerandes te bou nie behalwe die altaar van Jehovah ons God wat voor sy tabernakel is!"^b

30 Toe die priester Pi'nehas, die hoofmanne van die gemeenskap en die hoofde van die familie-groepe* van Israel wat saam met hom was, die woorde hoor wat die nakomelinge van Ruben, Gad en Manas'se gesê het, was hulle tevrede.^c **31** Daarna het Pi'nehas, die seun van die priester Elea'sar, vir die nakomelinge van Ruben, Gad en Manas'se gesê: "Vandag weet ons dat Jehovah onder ons is, want julle het nie ontrou aan Jehovah geword nie. Nou het julle die Israëliete uit die hand van Jehovah gered."

32 Pi'nehas, die seun van die priester Elea'sar, en die hoofmanne het toe die Rubeniete en die Gadiete in die land Gi'lead verlaat en na die land Kanaän teruggekeer, en hulle het die ander Israëliete vertel wat gesê is. **33** En die Israëliete was tevrede met die antwoord. Toe het hulle God geloof, en hulle het nie weer daarvan gepraat om oorlog te maak teen die Rubeniete en die Gadiete om die land waarin hulle woon, te verwoes nie.

34 Die Rubeniete en die Gadiete het die altaar dus 'n naam gegee,* want "dit is 'n getuie tussen ons dat Jehovah die ware God is".

22:34 *Uit die verduideliking wat gegee word, is die altaar waarskynlik Getuie genoem.

23 Baie dae nadat Jehovah Israel rus gegee het^a van al hulle vyande om hulle, toe Josua al baie oud was,^b **2** het Josua die hele Israel, sy ouermanne, sy hoofde, sy regters en sy beamptes,^c geroep^d en vir hulle gesê: “Ek het oud geword en ek het nie meer lank om te lewe nie. **3** Julle het self alles gesien wat Jehovah julle God met al hierdie nasies gedoen het ter wille van julle, want Jehovah julle God het vir julle gegee.^e **4** Ek het die land van die nasies wat oorbly, deur middel van die lot^f as ’n erfdeel aan julle stamme toegewys,^g asook die land van al die nasies wat ek vernietig het,^h van die Jordaanrivier af tot by die Grootsee* in die weste.” **5** Jehovah julle God het hulle voor julle bly verjaag,ⁱ en hy het hulle ter wille van julle verdryf, en julle het hulle land in besit geneem, net soos Jehovah julle God julle belowe het.^j

6 “Nou moet julle baie moedig wees en alles wat in die Wetboek^k van Moses geskryf is, gehoorsaam en uitvoer. Moet nooit regs of links daarvan afwyk nie.^l **7** Moet nooit meng met hierdie nasies^m wat nog oorbly nie. Julle mag nie eers die name van hulle gode noemⁿ of by hulle sweer nie, en julle mag hulle nie dien of voor hulle neerbuig nie.^o **8** Maar julle moet lojaal bly aan Jehovah julle God^p net soos julle tot vandag toe gedoen het. **9** Jehovah sal groot en magtige nasies voor julle verdryf,^q want tot vandag toe kon niemand julle oorwin nie.^r **10** Net een van julle sal ’n duisend agternasit,^s want Jehovah julle God veg vir

23:4 *Die Middellandse See. ^aOf “in die rigting van die sonsondergang”.

HFST. 23

- a Eks 33:14
- Le 26:6
- Jos 21:44
- b Jos 13:1
- c De 16:18
- d De 31:28
- e De 20:4
- Jos 10:11-14
- Jos 10:40, 42
- f Jos 18:10
- g Jos 13:2-6
- h De 7:1
- i Eks 23:30
- Eks 33:2
- De 11:23
- j Nu 33:53
- k Eks 24:7
- De 17:18
- De 31:26
- l De 5:32
- De 12:32
- Jos 1:7, 8
- m Eks 23:33
- De 7:2
- n Eks 23:13
- o Eks 20:5
- p De 10:20
- Jos 22:5
- q De 11:23
- r Jos 1:3-5
- s Le 26:8
- Rig 3:31
- 2Sa 23:8

Tweede kol.

- a Eks 23:27
- De 3:22
- b De 28:7
- c De 4:9
- Jos 22:5
- d De 6:5
- e Eks 23:29
- Jos 13:2-6
- f Eks 34:16
- De 7:3
- Rig 3:6
- 1Kn 11:4
- Esr 9:2
- g Rig 2:3, 21
- h Nu 33:55
- i Jos 21:45
- 1Kn 8:56
- j Le 26:3-12
- De 28:1
- k Le 26:14-17
- De 28:15, 63
- l 2Kn 24:20
- m Jos 23:12, 13

julle,^a net soos hy julle belowe het.^b **11** Wees dus altyd op julle hoede^c deur Jehovah julle God lief te hê.^d

12 “Maar as julle sou omdraai en julle verbind aan wat oorbly van hierdie nasies^e en julle met hulle ondertrou^f en met hulle assosieer, **13** moet julle beslis weet dat Jehovah julle God nie sal aanhou om hierdie nasies ter wille van julle te verdryf nie.^g Hulle sal vir julle ’n vangnet en ’n strik word, sweepslae op julle rug^h en doerings in julle oë, totdat julle verdwyn het uit hierdie goeie land wat Jehovah julle God aan julle gegee het.

14 “Kyk! Ek gaan binnekort sterf,ⁱ en julle weet goed met julle hele hart en met julle hele siel^j dat nie een woord van al die goeie beloftes wat Jehovah julle God aan julle gemaak het, onvervuld gebly het nie. Alles het vir julle waar geword. Nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.^k **15** Maar net soos al die goeie beloftes wat Jehovah julle God aan julle gemaak het, waar geword het,^l so sal Jehovah al die rampspoed wat hy belowe het,^m oor julle bring, en hy sal julle vernietig uit hierdie goeie land wat Jehovah julle God aan julle gegee het.^k **16** as julle die verbond verbreek wat Jehovah julle God julle beveel het om te gehoorsaam en as julle ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig. Dan sal Jehovah se woede teen julle opvlam,^l en julle sal gou verdwyn uit die goeie land wat hy aan julle gegee het.”^m

23:12 *Of “huweliksverbintenisie met hulle aangaan”. **23:14** *Lett. “Ek gaan vandag op die weg van die hele aarde”. ^aSien Woordelys. **23:15** *Of “al die slegte woorde”.

24 Josua het toe al die stamme van Israel in Sigem bymekaar laat kom en het Israel se ouermanne, hoofde, regters en beamptes^a bymekaarge-roep, en hulle het voor die ware God gaan staan. **2** Josua het vir die hele volk gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Julle voorvaders,^b insluitende Tera, die pa van Abraham en Nahor, het lank gelede^c aan die ander kant van die Rivier* gewoon, en hulle het ander gode gedien.^d

3 "Ná verloop van tyd het ek julle voorvader Abraham^e van die ander kant van die Rivier* geneem en hom deur die hele land Kanaän laat trek en sy nageslag^f baie laat word.^f Ek het vir hom Isak gegee.^g **4** Toe het ek vir Isak Jakob en Esau gegee.^h Later het ek vir Esau die berg Seir as sy besitting gegee,ⁱ en Jakob en sy seuns het na Egipte afgetrek.^j **5** Ek het later vir Moses en Aäron gestuur,^k en ek het Egipte met plaë getref,^l en daarna het ek julle uit Egipte uitgelei. **6** Toe ek julle vaders uit Egipte uitgelei het^m en toe julle by die see gekom het, het die Egiptenare julle vaders met strydwaens en perderuiters tot by die Rooisee agternagesit.ⁿ **7** Toe het hulle tot Jehovah om hulp begin roep.^o Daarom het ek 'n duisternis tussen julle en die Egiptenare geplaas en die see oor hulle laat kom en hulle bedek,^p en julle oë het gesien wat ek in Egipte gedoen het.^q Daarna het julle baie jare* lank in die wildernis gewoon.^r

8 "Ek het julle na die land van die Amoriete gebring wat aan die ander kant* van die Jor-

HFST. 24

- a Eks 18:25
Jos 23:2
b Ge 11:26, 27
c Ge 11:28, 31
d Jos 24:15
e Ge 12:1
Ne 9:7
Han 7:2
f Ge 15:1, 5
g Ge 21:3
h Ge 25:26
i Ge 36:8
De 2:5
j Ge 46:2, 3
k Eks 3:10
l Eks 11:1
m Eks 12:37
n Eks 14:9
o Eks 14:10
p Eks 14:20, 27
Ps 106:11
q Eks 3:20
De 4:34
r Nu 14:34

Tweede kol.

- a Nu 21:23
b Ne 9:22
c Nu 22:2, 5
De 23:3, 4
d Nu 22:12
e Nu 23:11, 25
Nu 24:10
f Nu 31:7, 49
g Jos 3:17
h Jos 5:10
i Jos 11:16
Jos 21:44
Heb 11:30
j Eks 23:28
Jos 2:9, 10
k Ps 44:3
l Jos 11:14
m De 6:10, 11
De 8:7, 8
n Ge 17:1
De 10:12
De 18:13
1Sa 12:24
o Le 17:7
Ese 23:8
p De 30:19, 20
1Kn 18:21

daanrivier gewoon het, en hulle het teen julle geveg.^a Maar ek het hulle in julle hand gegee sodat julle hulle land in besit kon neem, en ek het hulle voor julle uitgeroei.^b **9** Toe het Balak, die seun van Sippor, die koning van Moab, opgestaan en teen Israel geveg. Hy het Bi'leam, die seun van Beor, laat roep om julle te vervloek.^c **10** Maar ek het geweier om na Bi'leam te luister,^d en daarom het hy julle herhaaldelik geseën,^e en ek het julle uit sy hand gered.^f

11 "Toe het julle deur die Jordaanrivier getrek^g en by Je'rigo gekom.^h En die leiers* van Je'rigo, die Amoriete, die Perisiete, die Kanaäniete, die Hetiete, die Girgasiete, die Hewiete en die Jebusiete het teen julle geveg, maar ek het hulle in julle hand gegee.ⁱ **12** Ek het 'n gevoel van hopeloosheid* voor julle uit gestuur, en dit het hulle voor julle verdryf^j – twee konings van die Amoriete. Dit was nie deur middel van julle swaard en boog nie.^k **13** Ek het vir julle 'n land gegee waarvoor julle nie hard gewerk het nie en stede wat julle nie gebou het nie,^l en julle het daarin gaan woon. Julle eet van wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie.^m

14 "Vrees Jehovah dus nou en dien hom met integriteit* en getrouheid,ⁿ en raak ontslae van die gode wat julle voorvaders aan die ander kant van die Rivier* en in Egipte gedien het,^o en dien Jehovah. **15** As julle nie bereid is om Jehovah te dien nie, kies dan vandag self wie julle gaan dien:^p die gode

24:11 *Of moontlik "grondeienaars".

24:12 *Of moontlik "paniek; vrees".

24:14 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. ^aOf "in waarheid".

24:2, 3, 14 *Die Eufraatrivier. **24:3** *Lett. "saad". **24:7** *Lett. "dae". **24:8** *D.w.s. die oostekant.

wat julle voorvaders aan die ander kant van die Rivier* gedien het^a of die gode van die Amorieë in wie se land julle woon.^b Maar ek en my huisgesin sal Jehovah dien.”

16 Die volk het toe geantwoord: “Ons sal nie eers daaraan dink om Jehovah te verlaat en ander gode te dien nie. **17** Dit is Jehovah ons God wat ons en ons vaders uit Egipte, uit die huis van slawerny,^c uitgelei het.^d Dit is hy wat hierdie groot tekens voor ons oë gedoen het^e en wat ons op die hele pad en onder al die volke wat ons teëgekome het, beskerm het.^f **18** Jehovah het al die volke, insluitende die Amorieë, wat voor ons in die land gewoon het, verdryf. Daarom sal ons ook Jehovah dien, want hy is ons God.”

19 Toe het Josua vir die volk gesê: “Julle kan nie Jehovah dien nie, want hy is ’n heilige God.^g Hy is ’n God wat uitsluitlike toegewydheid vereis.^h Hy sal nie julle oortredings* en julle sondes vergewe nie.ⁱ **20** As julle Jehovah verlaat en vreemde gode dien, sal hy ook teen julle draai en julle vernietig, al het hy goeie dinge vir julle gedoen.”^j

21 Maar die volk het vir Josua gesê: “Nee, ons sal Jehovah dien!”^k **22** Josua het dus vir die volk gesê: “Julle is getuies teen julleself dat julle uit julle eie gekies het om Jehovah te dien.”^l Toe het hulle gesê: “Ons is getuies.”

23 “Raak dan nou ontslae van die vreemde gode onder julle, en gee julle hart aan Jehovah, die God van Israel.” **24** Toe het die volk vir Josua

24:15 *Die Eufraatrivier. 24:19 *Of “opstandigheid”.

HFST. 24

- a Jos 24:2
- b Eks 23:32
De 7:25
Rig 6:10
Rig 10:6
- c De 6:12
- d Eks 19:4
De 32:12
- e Eks 14:31
De 4:34
De 29:2
- f Eks 23:23
- g Le 19:2
Ps 99:5
Jes 6:3
1Pe 1:15
- h Eks 20:5
Eks 34:14
Nu 25:11
Mt 4:10
- i Eks 23:20, 21
Nu 14:35
- j De 28:15, 20
Jos 23:16
2Kr 15:2
Jes 63:10
Jer 17:13
- k Eks 19:8
- l De 26:17
Jos 24:15

Tweede kol.

- a De 31:26
- b Ge 31:45
- c Ge 31:48
- d Rig 2:6
- e Rig 2:8, 9
- f Jos 19:49, 50
- g De 31:12, 13
Rig 2:7
- h Ge 50:25
Eks 13:19
Heb 11:22
- i Han 7:15, 16
- j Ge 33:18, 19
- k Jos 20:7
- l Nu 3:4
Nu 20:26
- m Eks 6:25
Rig 20:28

gesê: “Ons sal Jehovah ons God dien, en ons sal na sy stem luister!”

25 Josua het dus op daardie dag in Sigem ’n verbond met die volk gemaak, en hy het ’n wetsvoorskrif en ’n beslissing vir hulle vasgestel. **26** Toe het Josua hierdie woorde in die boek van God se Wet^a geskryf en ’n groot klip geneem^b en dit opgerig onder die groot boom wat by die heiligdom van Jehovah is.

27 Josua het vir die hele volk gesê: “Ky! Hierdie klip sal ’n getuie teen ons wees,^c want dit het alles gehoor wat Jehovah vir ons gesê het, en dit sal ’n getuie teen julle wees, sodat julle nie ontrou word aan julle God nie.” **28** Toe het Josua die volk weggestuur, elkeen na sy erfdeel.^d

29 Nà hierdie dinge het Josua, die seun van Nun, die kneg van Jehovah, op die ouderdom van 110 gesterf.^e **30** Hulle het hom toe begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Serag,^f in die bergstreek van E’fraim, noord van die berg Gaäs. **31** Israel het aangehou om Jehovah te dien al die dae van Josua en al die dae van die ouermanne wat nog ná Josua se dood gelewe het en wat geweet het van al Jehovah se dade wat hy vir Israel gedoen het.^g

32 Josef se beendere,^h wat deur die Israeliete uit Egipte gebring is, is in Sigem begrawe op die stuk grond wat Jakob vir 100 geldstukke by die seuns van Hemor,ⁱ Sigem se pa, gekoop het,^j en die kinders van Josef het dit as erfdeel ontvang.^k

33 Elea’sar, die seun van Aäron, het ook gesterf.^l Toe het hulle hom begrawe op die Heuwel van Pi’nehas, sy seun,^m wat in die bergstreek van E’fraim aan hom gegee is.

RIGTERS

O O R S I G

- 1 Juda en Simeon se oorwinnings (1-20)
Jebusiete nie uit Jerusalem
verdryf nie (21)
Josef neem Bet-El in besit (22-26)
Kanaäniete nie heeltemal
verdryf nie (27-36)
- 2 Waarskuwing van Jehovah se
engel (1-5)
Josua sterf (6-10)
Rigters voorsien om Israel te red (11-23)
- 3 Jehovah toets Israel (1-6)
Otniël, eerste rigter (7-11)
Rigter Ehud maak vet koning Eglon
dood (12-30)
Rigter Samgar (31)
- 4 Kanaänitiese koning Jabin
onderdruk Israel (1-3)
Profetes Debora en rigter Barak (4-16)
Jael maak Sisera dood (17-24)
- 5 Oorwinningslied van Debora en
Barak (1-31)
Sterre veg teen Sisera (20)
Die Kison-stroom (21)
Dié wat Jehovah liefhet,
is soos son (31)
- 6 Midian onderdruk Israel (1-10)
Engel stel rigter Gideon gerus (11-24)
Gideon breek altaar van Baäl af (25-32)
God se gees kom oor Gideon (33-35)
Die toets met die vlies wol (36-40)
- 7 Gideon en sy 300 manne (1-8)
Gideon se leërmag verslaan
Midian (9-25)
"Die swaard van Jehovah en
van Gideon!" (20)
Verwarring in kamp van
Midian (21, 22)
- 8 Efraimiete stry met Gideon (1-3)
Midianitiese konings agternagesit
en doodgemaak (4-21)
Gideon weier koningskap (22-27)
Opsomming van Gideon
se lewe (28-35)
- 9 Abimeleg word koning in Sigem (1-6)
Jotam se gelykenis (7-21)
Abimeleg se gewelddadige
heerskappy (22-33)
Abimeleg val Sigem aan (34-49)
Vrou beseer Abimeleg; hy sterf (50-57)
- 10 Rigters Tola en Jaïr (1-5)
Israel kom in opstand; toon
berou (6-16)
Ammoniete bedreig Israel (17, 18)
- 11 Rigter Jefta verdryf en later
leier gemaak (1-11)
Jefta redeneer met Ammon (12-28)
Jefta se gelofte en sy dogter (29-40)
Dogter sal nooit trou nie (38-40)
- 12 Konflik met Efraimiete (1-7)
Sjibbolet-toets (6)
Rigters Ibsan, Elon en Abdon (8-15)
- 13 Engel besoek Manoag en sy vrou (1-23)
Simson gebore (24, 25)
- 14 Rigter Simson soek Filistynse vrou (1-4)
Jehovah se gees help Simson om
leeu dood te maak (5-9)
Simson se raaisel by troue (10-19)
Simson se vrou aan ander man
gegee (20)
- 15 Simson neem wraak op Filistyne (1-20)
- 16 Simson in Gasa (1-3)
Simson en Delila (4-22)
Simson neem wraak en sterf (23-31)
- 17 Miga se afgode en sy priester (1-13)
- 18 Daniete op soek na grond (1-31)
Miga se afgode en priester
weggeneem (14-20)
Lajis ingeneem; naam verander
na Dan (27-29)
Afgodediens in Dan (30, 31)
- 19 Benjaminiete se seksmisdaad
in Gibeä (1-30)
- 20 Oorlog teen Benjaminiete (1-48)
- 21 Benjamin as stam gered (1-25)

1 Ná die dood van Josua^a het die Israeliete Jehovah gevra:^b “Wie van ons moet eerste teen die Kanaäniete gaan veg?” **2** Jehovah het geantwoord: “Juda sal gaan.^c Kyk! Ek gee die land in sy hand.”* **3** Toe het Juda vir sy broer Si'meon gesê: “Kom saam met my na die gebied wat aan my toegewys is,^d sodat ons teen die Kanaäniete kan veg. Dan sal ek saam met jou gaan na die gebied wat aan jou toegewys is.” Si'meon het dus saam met hom gegaan.

4 Toe Juda gegaan het, het Jehovah die Kanaäniete en die Perissiete in hulle hand gegee,^e en hulle het 10 000 manne in Be'sek verslaan. **5** Hulle het Ado'ni-Be'sek in Be'sek gevind, en daar het hulle teen hom geveg en die Kanaäniete^f en die Perissiete^g verslaan. **6** Toe Ado'ni-Be'sek vlug, het hulle hom agternagesit en hom gevang en sy duime en sy groottone afgesny. **7** Toe het Ado'ni-Be'sek gesê: “Daar is 70 konings wie se duime en groottone afgesny is en wat onder my tafel kos optel. God betaal my nou terug vir wat ek gedoen het.” Daarna het hulle hom na Jerusalem^h gebring, en hy het daar gesterf.

8 Die manne van Juda het toe teen Jerusalem oorlog gemaakⁱ en dit ingeneem. Hulle het die inwoners met die swaard doodgemaak en die stad aan die brand gestee. **9** Daarna het die manne van Juda gegaan om teen die Kanaäniete te veg wat in die bergstreek en die Negeb en die Sjeffela^j gewoon het. **10** Juda het die Kanaäniete aangeval wat in He'bron gewoon het (die naam van He'bron was voorheen Kirjat-Arba), en hul-

1:2 *Of “Ek het die land in sy hand gegee”. 1:3 *Lett. “my lot”.

HFST. 1

- a Jos 24:29
b Nu 27:18, 21
Rig 20:18
c Ge 49:8
De 33:7
1Kr 5:2
d Jos 15:1
Jos 19:1, 9
e De 9:3
f Ge 10:6
De 20:17
g Ge 15:18-21
Eks 3:8
Rig 3:5
1Kn 9:20, 21
h Jos 15:8, 12
i Jos 15:63
Rig 1:21
j Jos 11:16
Jos 15:20, 33

Tweede kol.

- a Jos 11:21
Jos 15:13, 14
b Jos 10:38
c Jos 15:15
d Nu 13:3, 6
Nu 14:24
De 1:35, 36
Jos 14:13
e Jos 15:16-19
f Rig 3:9
g 1Kr 4:13
h Eks 3:1
Eks 4:18
Eks 18:1
Nu 10:29
i Nu 24:21
Rig 4:11
j De 34:3
Rig 3:13
k Nu 21:1
l Nu 10:29-32
m Le 27:29
De 20:16
n Jos 19:1, 4

- o Ge 10:19
Jos 11:22
p Rig 14:19

- q Jos 13:1-3
Jos 15:20, 45

le het Sesai, Ahi'man en Talmai doodgemaak.^a

11 Daarvandaan het hulle teen die inwoners van Debir opgetrek.^b (Die naam van Debir was voorheen Kirjat-Sefer.)^c

12 Toe het Kaleb^d gesê: “Ek sal my dogter Agsa as vrou gee aan die man wat Kirjat-Sefer verslaan en inneem.”^e **13** En Ot'niël,^f die seun van Kenas,^g Kaleb se jonger broer, het dit ingeneem. Daarom het Kaleb sy dogter Agsa aan hom as vrou gegee. **14** Op pad huis toe het sy vir hom aangedring om haar pa vir 'n stuk grond te vra. Toe het sy van haar donkie afgeklim.* Kaleb het haar gevra: “Wat wil jy hê?” **15** Sy het gesê: “Seën my asseblief met 'n geskenk, want Pa het vir my 'n stuk grond in die suide* gegee. Gee vir my ook Gullot-Maim.”^h Toe het Kaleb vir haar Bo-Gullot en Onder-Gullot gegee.

16 En die nakomelinge van Moses se skoonpa,^h die Keniet,ⁱ het saam met Juda uit die stad van palmbome*^j na die wildernis van Juda getrek, suid van Arad.^k Hulle het daarheen gegaan en onder die mense gaan woon.^l **17** Maar Juda het saam met sy broer Si'meon verder gegaan, en hulle het die Kanaäniete aangeval wat in Sefat gewoon het en dit heeltemal vernietig.^m Hulle het die stad dus Horma*ⁿ genoem. **18** Toe het Juda Gasa^o en sy gebied, As'kelon^p en sy gebied en Ekron^q en sy gebied ingeneem. **19** Jehovah was met Juda, en hulle het die bergstreek in besit geneem, maar hulle kon nie die mense uitdryf wat op die vlak-

1:14 *Of moontlik “haar hande geklap terwyl sy op die donkie was”. 1:15 *Of “Negeb”. *Beteken “komme (bakke) water”. 1:16 *D.w.s. Je'rigto. 1:17 *Beteken “oorgegee aan vernietiging”.

te gewoon het nie, want hulle het strydwaens met ysterleme* gehad.^a **20** Hulle het Hebron aan Kaleb gegee, net soos Moses belowe het,^b en hy het die drie seuns van Enak^c daaruit verdryf.

21 Maar die Benjaminsiete het nie die Jebusiete verdryf wat in Jerusalem woon nie, en daarom woon die Jebusiete vandag nog in Jerusalem tussen die Benjaminsiete.^d

22 Intussen het die huis van Josef^e Bet-El aangeval, en Jehovah was met hulle.^f **23** Die huis van Josef het Bet-El gaan verken (die naam van die stad was voorheen Lus),^g **24** en die spioene het 'n man gesien wat uit die stad uitkom. Toe het hulle vir hom gesê: "Wys asseblief vir ons hoe om in die stad te kom, en ons sal jou goed behandel."^h **25** Die man het toe vir hulle gewys hoe om in die stad in te kom, en hulle het die inwoners van die stad met die swaard doodgemaak, maar hulle het die man en sy hele familie laat gaan.^h **26** Die man het na die land van die Hetiete gegaan en 'n stad gebou en dit Lus genoem, en dit is vandag nog die naam van die stad.

27 Manas'se het nie Bet-Sean en sy afhanklike* dorpe, Ta'anagⁱ en sy afhanklike dorpe, die inwoners van Dor en sy afhanklike dorpe, die inwoners van Jib'leam en sy afhanklike dorpe en die inwoners van Megiddo en sy afhanklike dorpe in besit geneem nie.^j Die Kanaäniete het in hierdie gebied bly woon. **28** Toe die Israëliete 'n sterker volk geword het, het hulle die Kanaäniete gedwing om as sla-

1:19 *Lett. "strydwaens van yster".
1:24 *Lett. "lojale liefde aan jou betoont".
1:27 *Of "omliggende".

HFST. 1

- a De 20:1
Jos 17:16
b Nu 14:24
Jos 14:9
c Nu 13:22
d Jos 15:63
2Sa 5:6
e Jos 14:4
f Ge 49:22, 24
Jos 16:1
Ps 44:3
g Ge 35:6
h Jos 6:25
1Sa 15:6
i Jos 21:8, 25
Rig 5:19
j Jos 17:11, 12

Tweede kol.

- a Ge 9:25
1Kn 9:20, 21
b Nu 33:55
De 7:2
De 20:16
Jos 17:13
c Jos 16:10
1Kn 9:16
d Jos 19:15, 16
e De 20:17
Rig 2:2
f Jos 11:8
Jos 19:28, 31
g Jos 19:29, 31
h Jos 19:30, 31
i Jos 21:8, 31
j Jos 19:38, 39
k De 7:2
l Jos 19:47
Rig 18:1
m Jos 10:12
n Jos 19:42, 48
o Nu 34:2, 4
Jos 15:3, 12

HFST. 2

- p Eks 23:20, 23
Jos 5:13, 14
q Jos 5:8, 9
r Ge 12:7
Ge 26:3

we te werk,^a maar hulle het hulle nie heeltemal verdryf nie.^b

29 E'fraim het ook nie die Kanaäniete verdryf wat in Geser gewoon het nie. Die Kanaäniete het tussen hulle in Geser bly woon.^c

30 Se'bulon het nie die inwoners van Kitron en Na'halol^d verdryf nie. Die Kanaäniete het tussen hulle bly woon en moes as slawe werk.^e

31 Aser het nie die inwoners van Akko en die inwoners van Sidon,^f Aglab, Aagsib,^g Helba, Afik^h en Rehobⁱ verdryf nie.

32 Die Aseriete het dus tussen die Kanaäniete in die land bly woon, want hulle het die Kanaäniete nie verdryf nie.

33 Naf'tali het nie die inwoners van Bet-Semes en die inwoners van Bet-Anat^j verdryf nie, maar hulle het tussen die Kanaäniete in die land bly woon.^k Die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat het as slawe vir hulle gewerk.

34 Die Amorieite het die Daniëte gedwing om in die bergstreek te bly, want hulle het hulle nie toegelaat om na die vlakke af te kom nie.^l **35** Die Amorieite het op die berg Heres en in A'jalon^m en Sa'älbimⁿ bly woon. Maar toe die huis van Josef magtiger geword het,^{*} het hulle die Amorieite gedwing om swaar werk te doen. **36** Die gebied van die Amorieite het by die opdraand van Akrab'bim^o begin en het van Sela af boontoe gestrek.

2 Toe het Jehovah se engel^p van Gilgal^q na Bogim gegaan en gesê: "Ek het julle uit Egipte uitgelei en julle na die land gebring wat ek aan julle voorvaders met 'n eed belowe het.^r Ek het ook gesê: 'Ek sal nooit

1:35 *Lett. "die hand van die huis van Josef swaart geword het".

my verbond met julle verbreek nie.^a **2** En julle mag nie 'n verbond met die inwoners van hierdie land maak nie,^b en julle moet hulle altare afbreek.^c Maar julle het nie na my stem geluister nie.^d Hoekom het julle dit gedoen? **3** Daarom het ek ook gesê: 'Ek sal hulle nie voor julle verdryf nie,^e en hulle sal vir julle 'n strik word,^f en hulle gode sal julle van my af weglok.'^g

4 Toe Jehovah se engel hierdie woorde vir al die Israeliete gesê het, het die volk hard begin huil. **5** Daarom het hulle die plek Bogim* genoem, en daar het hulle offerandes aan Jehovah gebring.

6 Toe Josua die volk weggestuur het, het elkeen van die Israeliete na sy erfdeel gegaan om die land in besit te neem.^h **7** Die volk het Jehovah bly dien al die dae van Josua en al die dae van die ouermanne wat nog ná Josua se dood gelewe het en wat al Jehovah se groot dade gesien het wat hy vir Israel gedoen het.ⁱ **8** Toe het Josua, die seun van Nun, die kneg van Jehovah, op die ouderdom van 110 gesterf.^j **9** Hulle het hom toe begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Heres,^k in die bergstreek van E'fraim, noord van die berg Gaás.^l **10** Daardie hele geslag het gesterf,^m en ná hulle was daar 'n ander geslag wat Jehovah nie geken het nie en wat nie geweet het van alles wat hy vir Israel gedoen het nie.

11 Die Israeliete het begin doen wat sleg is in Jehovah se oë en het die Baäls gedien.ⁿ **12** So het hulle Jehovah, die God van hulle vaders, wat hulle uit Egipte uitgelei het, verlaat.ⁿ En hulle het ander gode

HFST. 2

a Ge 17:1,7
Le 26:42b Eks 23:32
De 7:2
2Kor 6:14c Eks 34:13
Nu 33:52

d Rig 1:28

e Rig 2:20-23

f Nu 33:55
Jos 23:12, 13g Eks 23:33
De 7:16
1Kn 11:2

h Jos 24:28

i Jos 23:3
Jos 24:31

j Jos 24:29

k Jos 19:49, 50

l Jos 24:30

m Rig 3:7
Rig 10:6
1Kn 18:17, 18

n De 31:16

Tweede kol.

a De 6:14

b Eks 20:5

c Rig 3:7
Rig 10:6
1Kn 11:5d Rig 3:8
2Kn 17:20
Ps 106:40, 41

e Rig 4:2

f Le 26:17, 37
De 28:15, 25

g De 28:15

h De 4:25, 26

i Rig 10:9

j Rig 3:9
1Sa 12:11
Ne 9:27
Ps 106:43

k Rig 2:7

l Rig 3:9

m De 32:36
Ps 106:45

n Rig 4:3

gevolg, die gode van die volke om hulle,^a en hulle het voor hulle neergebuig en Jehovah aanstoot gegee.^b **13** Hulle het Jehovah verlaat en het Baäl en die Asto'ret-beelde gedien.^c **14** Toe het Jehovah so woedend geword vir Israel dat hy hulle in die hand gegee het van hulle vyande wat hulle geplunder het.^d Hy het hulle oorgelewer aan* hulle vyande rondom hulle,^e en hulle kon hulleself nie meer teen hulle vyande verdedig nie.^f **15** Waarheen hulle ook al gegaan het, was die hand van Jehovah teen hulle, en hy het rampspoed oor hulle gebring,^g net soos Jehovah gesê het en net soos Jehovah vir hulle gesweer het,^h en hulle het baie swaar gekry.ⁱ **16** Toe het Jehovah rigters voorsien wat hulle uit die hand van hulle vyande gered het.^j

17 Maar hulle het selfs geweier om na die rigters te luister, en hulle het ander gode aanbid* en voor hulle neergebuig. Hulle het gou weggedraai van die weg wat hulle voorvaders gevolg het, dié wat Jehovah se gebooië gehoorsaam het.^k Hulle het dit nie gehoorsaam nie. **18** Wanneer Jehovah ook al 'n rigter voorsien het,^l was Jehovah met daardie rigter. Solank die rigter gelewe het, het Jehovah hulle uit die hand van hulle vyande gered, want Hy het vir hulle jammer gevoel*^m wanneer hulle gekla het omdat hulle vyande hulle onderdrukⁿ en mishandel het.

19 Maar wanneer die rigter gesterf het, het hulle nog goddeloos opgetree as hulle vaders deur ander gode te volg, hulle te

2:5 *Betekén "huilers". 2:10 *Lett. "is tot hulle vaders versamel". 2:11 *Of "aanbid".

2:14 *Lett. "verkoop in die hand van". 2:17 *Of "prostitusie met ander gode gepleeg". 2:18 *Of "het spyt gevoel".

dien en voor hulle neer te buig.^a Hulle wou nie hulle gebruike laat staan en ophou met hulle hardkoppigheid nie. **20** Uiteindelik het Jehovah woedend geword vir Israel,^b en hy het gesê: “Hierdie nasie het my verbond verbreek^c wat ek hulle voorvaders beveel het, en hulle het nie na my stem geluister nie.^d **21** Daarom sal ek nie 'n enkele nasie wat ná Josua se dood oorgebly het, voor hulle verdryf nie.^e **22** Dit is om te toets of Israel Jehovah se weg sal volg,^f soos hulle vaders gedoen het.” **23** Jehovah het dus hierdie nasies laat oorbly. Hy het hulle nie gou verdryf nie, en hy het hulle nie in Josua se hand gegee nie.

3 Jehovah het nasies in die land laat oorbly om al die Israëliete te toets wat nie die oorloë van Kanaän ondervind het nie.^g **2** Dit was sodat die geslagte van Israel wat nog nie oorlog ondervind het nie, kon leer om oorlog te voer. **3** Die nasies was: die Filistyne,^h onder die bevel van hulle vyf leiers, al die Kanaäniete, die Sidoniërsⁱ en die Hewiete^j wat in die Li'banon-berge woon,^k van die berg Baäl-Hermon af tot by Lebo-Hamat.^{*l} **4** Deur middel van hulle is Israel getoets om vas te stel of Israel gehoorsaam sou wees aan Jehovah se gebooie wat hy deur Moses aan hulle vaders gegee het.^m **5** Die Israëliete het dus gewoon tussen die Kanaäniete,ⁿ die Hetiete, die Amoriete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete. **6** Die Israëliete het hierdie nasies se dogters as vrouens geneem en hulle eie dogters aan die seuns van hierdie nasies gegee en hulle gode begin dien.^o

3:3 *Of “die ingang van Hamat”.

HFST. 2

- a Rig 4:1
- Rig 8:33
- b De 7:4
- Rig 10:7
- Ps 106:40
- c Eks 24:3, 8
- Eks 34:27
- De 29:1
- Jos 23:16
- d Le 26:14, 17
- e Jos 13:1, 2
- f Nu 33:55
- De 8:2
- Jos 23:12, 13
- Rig 3:4

HFST. 3

- g De 8:2
- Rig 2:10
- h Rig 1:18, 19
- i Jos 13:1, 4
- Rig 1:31
- j Jos 9:1, 2
- k Jos 13:1, 6
- l Nu 34:2, 8
- Jos 13:1, 5
- m Eks 23:33
- Rig 2:21, 22
- n Rig 1:29
- Ps 106:34
- o Eks 34:15, 16
- Nu 25:1, 2
- De 7:3, 4
- 1Kn 11:1, 4

Tweede kol.

- a De 31:16
- Rig 2:11
- Rig 10:6
- b Eks 34:13
- De 12:3
- De 16:21
- c De 4:30
- Rig 10:10, 15
- d Rig 2:16, 18
- Rig 3:15
- e 1Kr 4:13
- f Nu 11:16, 17
- Rig 6:34
- Rig 11:29
- Rig 14:5, 6
- Rig 15:14
- 1Sa 11:6
- 1Sa 16:13
- 2Kr 15:1
- g Rig 2:19
- h Ge 19:36, 37
- i Ge 19:36, 38
- Rig 11:4, 5
- j Eks 17:8
- Rig 6:3
- k De 34:3
- l De 28:48
- m Ps 78:34
- n Rig 3:9
- o Rig 4:1
- p Ge 49:27
- q Rig 20:15, 16

7 Die Israëliete het dus gedoen wat sleg is in Jehovah se oë, en hulle het Jehovah hulle God vergeet en het die Baäls^a en die heilige pale^{*b} gedien. **8** Toe het Jehovah woedend geword vir Israel, en hy het hulle in die hand van Ku'san-Risata'im, die koning van Mesopotamië,^{*} oorgelewer.[#] Die Israëliete het Ku'san-Risata'im agt jaar lank gedien. **9** Toe die Israëliete tot Jehovah om hulp geroep het,^c het Jehovah 'n redder voorsien om die Israëliete te bevry:^d Ot'niël,^e die seun van Kenas, die jonger broer van Kaleb. **10** Die gees van Jehovah het oor hom gekom,^f en hy het die rigter van Israel geword. Toe hy teen Ku'san-Risata'im, die koning van Mesopotamië,^{*} oorlog gaan voer het, het Jehovah die koning in sy hand gegee. So het hy Ku'san-Risata'im oorwin. **11** Daarna was daar 40 jaar lank vrede in die land. Toe het Ot'niël, die seun van Kenas, gesterf.

12 Die Israëliete het weer begin doen wat sleg is in Jehovah se oë.^g Daarom het Jehovah toegelaat dat Eglon, die koning van Moab,^h sterker word as Israel, omdat hulle gedoen het wat sleg is in Jehovah se oë. **13** Hy het ook die Ammonieteⁱ en die Amalekiete^j teen hulle laat opkom. Hulle het Israel aangeval en die stad van palmbome^{*k} ingeneem. **14** Die Israëliete het Eglon, die koning van Moab, 18 jaar lank gedien.^l **15** Toe het die Israëliete tot Jehovah om hulp begin roep,^m en Jehovah het vir hulle 'n redder voorsien:ⁿ Ehud,^o die seun van Gera, 'n Benjaminiër^p wat links was.^q Ná verloop

3:7 *Sien Woordelys. 3:8 *Lett. “Aram-Naharaim”. #Lett. “verkoop”. 3:10 *Lett. “Aram”. 3:13 *D.w.s. Jerigo.

van tyd moes hy namens die Israeliete skatting* na Eglon, die koning van Moab, neem. **16** Intussen het Ehud vir hom 'n tweesnijdende swaard gemaak wat 'n el* lank was, en hy het dit onder sy kleed aan sy regterheup gehang. **17** Hy het die skatting* vir Eglon, die koning van Moab, gegee. Eglon was 'n baie vet man.

18 Nadat Ehud die skatting* gegee het, het hy die mense wat die skatting* gedra het, weggestuur. **19** Maar nadat hy die beelde* in Gilgal^a bereik het, het hy teruggegaan en gesê: "Ek het 'n geheime boodskap vir u, o koning." Toe het die koning gesê: "Stilte!" Al sy dienaars het toe van hom af weggegaan. **20** Ehud het na hom toe gegaan terwyl hy alleen in sy koel dakvertrek gesit het. Ehud het gesê: "Ek het vir u 'n boodskap van God af." Eglon het dus van sy troon* af opgestaan. **21** Toe het Ehud sy swaard, wat op sy regterheup was, met sy linkerhand uitgetrek en dit in sy maag gesteek. **22** Die handvat-sel het agter die lem ingegaan, en die vet het oor die lem gegaan, want hy het nie die swaard uit sy maag getrek nie, en die inhoud van die derms het uitgekome. **23** Toe het Ehud uitgegaan en die deure van die dakvertrek agter hom toegemaak en dit gesluit. **24** Nadat hy uitgegaan het, het Eglon se knegte teruggekome en gesien dat die deure van die dakvertrek gesluit is. Toe het hulle gesê: "Hy gebruik seker die toilet* in die koel binnekamer." **25** Hulle het so lank gewag dat hulle

3:15, 17, 18 *Sien Woordelys. **3:16** *Dalk die kort el van omtrent 38 cm. Sien Aanh. B14. **3:19, 26** *Of moontlik "die klipgroewe". **3:20** *Of "sitplek". **3:24** *Lett. "Hy bedek seker sy voete".

HFST. 3

a Jos 4:19
Jos 5:8,9

Tweede kol.

a Rig 3:19

b Rig 7:24

c Rig 6:34
1Sa 13:3

d De 28:7

e Le 26:7,8

f Rig 3:11

g Rig 5:6

h Jos 13:1, 2

i Rig 15:3, 15
1Sa 17:47, 50

HFST. 4

j Rig 2:19

k Rig 2:14
Rig 3:8
Rig 10:7

l Rig 4:16

m Rig 2:18
Rig 3:9
Ps 107:19

bekommerd geword het, en toe hulle sien dat hy nog steeds nie die deure van die dakvertrek oopmaak nie, het hulle die sleutel geneem en die deure oopgemaak, en hulle het gesien dat hulle heer dood op die grond lê!

26 Ehud het ontsnap terwyl hulle gewag het, en hy het verby die beelde* gegaan^a en veilig by Seïra aangekom. **27** Toe hy daar kom, het hy in die bergstreek van E'fraim^b op die horing geblaas,^c en die Israeliete het uit die bergstreek begin afkom, en hy het hulle gelei. **28** Toe het hy vir hulle gesê: "Volg my, want Jehovah het julle vyande, die Moabiete, in julle hand gegee." En hulle het hom gevolg en die driewe van die Jordaanrivier beset sodat die Moabiete nie meer daardeur kon gaan nie. **29** Hulle het toe sowat 10 000 Moabiete doodgemaak,^d almal sterk en dapper manne. Nie een het ontsnap nie.^e **30** Op daardie dag is Moab deur Israel onderwerp, en daar was 80 jaar lank vrede in die land.^f

31 Ná hom was Samgar,^g die seun van Anat, en hy het 600 Filistynse manne^h met 'n veedrywerstok*ⁱ doodgemaak. Hy het Israel ook gered.

4 Maar ná Ehud se dood het die Israeliete weer begin doen wat sleg is in Jehovah se oë.^j **2** Daarom het Jehovah hulle oorgelewer* in die hand van Jabin, die koning van Kanaän,^k wat in Hasor regeer het. Die hoof van sy leërmag was Si'sera, wat in Haro'set^l van die nasies^m gewoon het. **3** Die Israeliete het tot Jehovah geroep,^m want Jabin* het 900 strydwaens

3:31 *Sien Woordelys, "Prikkel". **4:2** *Lett. "verkoop". ^aOf "Haroset-Hagojim". **4:3** *Lett. "hy".

met ysterlemme*^a gehad, en hy het die Israëliete 20 jaar lank erg onderdruk.^b

4 Debo'ra, 'n profetes,^c die vrou van Lap'pidot, het in hierdie tyd God se oordele aan Israel oorgedra. **5** Sy het gewoonlik onder Debo'ra se palmboom gesit, tussen Rama^d en Bet-El^e in die bergstreek van E'fraim. Die Israëliete het na haar toe gegaan vir regterlike besluite. **6** Sy het Barak,^f die seun van Abino'am, uit Ke'des-Naf'tali^g laat roep en vir hom gesê: "Jehovah, die God van Israel, het die bevel gegee: 'Gaan en marsjeer na die berg Tabor,* en neem 10 000 manne van Naf'tali en Se'bulon saam met jou. **7** Ek sal Si'sera, die hoof van Jabin se leërmag, en sy strydwaens en sy soldate na jou toe bring by die Kison-stroom,^h en ek sal hom in jou hand gee."ⁱ

8 Barak het vir haar gesê: "As jy saam met my gaan, sal ek gaan, maar as jy nie saam met my gaan nie, sal ek nie gaan nie." **9** Toe het sy gesê: "Ek sal beslis saam met jou gaan. Maar jy sal nie die eer kry vir hierdie geveg nie, want Jehovah sal Si'sera in die hand van 'n vrou gee."^j Debo'ra het toe opgestaan en saam met Barak na Kedes^k gegaan. **10** Barak het Se'bulon en Naf'tali^l in Kedes bymekaargeroep, en 10 000 manne het hom gevolg. Debo'ra het ook saam met hom gegaan.

11 Heber, die Keniet, het hom afgeskei van die Keniete,^m die nakomelinge van Hobab, Moses se skoonpa,ⁿ en sy tent was opgeslaan naby die groot boom in Saānan'nim, wat by Kedes is.

4:3, 13 *Lett. "strydwaens van yster".
4:6 *Of "Stel jou manne in gevegsformasie op die berg Tabor op".
4:7, 13 *Of "wadi Kison". Sien Wordelys.

HFST. 4

a Jos 17:16
Rig 1:19

b De 28:48

c Eks 15:20
2Kn 22:14
Lu 2:36
Han 21:8, 9

d Jos 18:21, 25

e Ge 28:17, 19

f Heb 11:32

g Jos 21:32

h 1Kn 18:40
Ps 83:9

i De 20:1

j Rig 4:21, 22
Rig 5:24, 26

k Jos 20:7, 9
Jos 21:32

l Rig 5:18

m Nu 24:21
Rig 1:16
1Sa 15:6

n Nu 10:29

Tweede kol.

a Rig 4:6

b Rig 5:20, 21

c Eks 14:24
Jos 10:10

d Le 26:7

e Rig 5:24

f Rig 4:11

g Rig 4:1, 2

h Rig 5:25

12 Si'sera het gehoor dat Barak, die seun van Abino'am, na die berg Tabor opgetrek het.^a

13 Si'sera het dadelik al sy strydwaens – 900 strydwaens met ysterlemme* – en al die soldate wat by hom was, uit Haro'set van die nasies bymekaargeroep om na die Kison-stroom^b te gaan. **14** Debo'ra het toe vir Barak gesê: "Maak jou gereed, want vandag sal Jehovah Si'sera in jou hand gee. Jehovah gaan voor jou uit!" En Barak het teen die berg Tabor afgegaan met 10 000 manne wat hom volg. **15** Toe het Jehovah Si'sera en al sy strydwaens en die hele leërmag verwar^c sodat Barak hulle met die swaard kon verslaan. Uiteindelik het Si'sera van sy strydwa afgespring en te voet gevlug. **16** Barak het die strydwaens en die leërmag tot by Haro'set van die nasies agtertnagesit. So is Si'sera se hele leërmag met die swaard doodgemaak. Nie eers een het oorgebly nie.^d

17 Maar Si'sera het te voet gevlug na die tent van Jael,^e die vrou van Heber,^f die Keniet, want daar was vrede tussen Jabin,^g die koning van Hador, en die familie van Heber, die Keniet. **18** Toe het Jael uitgegaan om Si'sera te ontmoet en vir hom gesê: "Kom binne, my heer, kom gerus binne. Moenie bang wees nie." Daarom het hy in haar tent ingegaan, en sy het hom met 'n kombars toegemaak. **19** Toe het hy vir haar gesê: "Gee my asseblief 'n bietjie water om te drink, want ek is dors." Toe het sy 'n leersak met melk oopgemaak en vir hom daarvan gegee om te drink,^h en daarna het sy hom weer toegemaak. **20** Hy het vir haar gesê: "Staan by die ingang van die tent, en as enigiemand jou kom

vra: 'Is daar 'n man hier?' dan moet jy sê: 'Nee!'"

21 Maar Jael, die vrou van Heber, het 'n tentpen en 'n hamer in haar hand geneem. Toe, terwyl hy uitgeput en vas aan die slaap was, het sy stilletjies na hom toe gegaan en die pen deur sy slape gekap en dit in die grond ingeslaan, en hy het gesterf.^a

22 Barak het soontoe gegaan, agter Si'sera aan, en Jael het uitgekóm om hom te ontmoet en vir hom gesê: "Kom, ek sal vir jou die man wys na wie jy soek." Hy het saam met haar ingegaan en gesien dat Si'sera dood lê, met die tentpen deur sy slape.

23 So het God Jabin, die koning van Kanaän, op daardie dag voor die Israëliete verneeder.^b **24** Die hand van die Israëliete het al hoe sterker geword teen Jabin, die koning van Kanaän,^c en uiteindelik het hulle hom vernietig.^d

5 Op daardie dag het Debo'ra^e saam met Barak,^f die seun van Abino'am, die volgende lied gesing:^g

- 2** "Loof Jehovah as gevolg van die vegters in Israel wat hulle hare los laat hang het, as gevolg van die volk wat hulle vrywillig aangebied het!^h
- 3** Luister, o konings! Hoor, o heersers! Ek sal vir Jehovah sing. Ek sal lofliedere sing* vir Jehovah,ⁱ Israel se God.^j
- 4** Jehovah, toe u uit Seir uitgegaan het,^k toe u uit die gebied van Edom gegaan het,

5:3 *Of "musiek maak".

HFST. 4

a Rig 4:9
Rig 5:26, 27

b Heb 11:32, 33

c Ge 9:25

d De 7:24

HFST. 5

e Rig 4:4

f Rig 4:6
Heb 11:32

g Eks 15:1
Ps 18:Ops

h Rig 4:10

i 2Sa 22:50
Ps 7:17

j Eks 20:2

k De 33:2

Tweede kol.

a De 4:11

b Eks 19:18
Ne 9:13

c Eks 20:2

d Rig 3:31

e Rig 4:17

f Rig 4:4

g Rig 4:5

h De 32:16, 17
Rig 2:12

i Rig 4:1-3

j Rig 4:6

k Rig 4:10

het die aarde geskud en het water uit die hemel gestort.

Water het uit die wolke gestort.

- 5** Berge het gesmelt* voor die gesig van Jehovah,^a selfs Si'nai het gesmelt voor die gesig van Jehovah,^b Israel se God.^c
- 6** In die tyd van Samgar,^d die seun van Anat, in die tyd van Jael^e was die paaie verlate, en reisigers het met ompaaie gereis.
- 7** Die dorpiens in Israel was verlate.*
Hulle was verlate totdat ek, Debo'ra,^f opgestaan het, totdat ek as 'n moeder in Israel opgestaan het.^g
- 8** Hulle het nuwe gode gekies,^h en toe was daar oorlog in die poorte.ⁱ
Daar kon nie 'n skild of 'n spies gevind word onder 40 000 manne in Israel nie.
- 9** My hart is by die bevelvoerders van Israel,^j wat as vrywilligers saam met die volk gegaan het.^k
Loof Jehovah!
- 10** Julle wat op ligbruin donkies ry, julle wat op kosbare tapyte sit, en julle wat op die pad loop, dink hieroor na!
- 11** Die stemme van dié wat water skep, is by die drinkplekke gehoor.
Daar het hulle die regverdige dade van Jehovah vertel,

5:5 *Of moontlik "geskud". 5:7 *Of "Daar was nie meer dorpsbewoners in Israel nie".

- die regverdige daade van sy dorpsbewoners in Israel. Jehovah se volk het toe na die poorte gegaan.
- 12** Word wakker, word wakker, o Debo'ra,^a word wakker, word wakker, sing 'n lied!^b Staan op, Barak!^c Neem jou gevangenes weg, seun van Abino'am!
- 13** Toe het dié wat oorgebly het, na die leiers van die volk toe gekom. Jehovah se volk het na my toe gekom om teen die magtiges te veg.
- 14** Mense in die vallei het uit E'frain gekom. Hulle volg jou, o Benjamin, met jou manne. Uit Magir^d het die bevelvoerders gekom, en uit Se'bulon het mense gekom wat soldate werf.*
- 15** Die hoofde van Is'saskar was saam met Debo'ra, en net soos Is'saskar haar ondersteun het, so het Barak^e haar ondersteun. Hy is te voet in die valleivlakte ingestuur.^f Onder die afdelings van Ruben was daar groot besluiteloosheid.*
- 16** Hoekom het jy tussen die twee saalsakke gaan sit en geluister terwyl die herders op hulle fluite vir die kuddes speel?^g Onder die afdelings van Ruben was daar groot besluiteloosheid.
- 17** Gi'lead het aan die ander kant van die Jordaanrivier gebly,^h Hoekom het Dan by die skepe gebly?ⁱ

5:14 *Of moontlik "wat die toerusting van 'n skrywer gebruik". 5:15 *Lett. "ondersoeking van die hart".

HFST. 5

a Rig 4:4

b Rig 5:1

c Rig 4:6

d Nu 32:39

e Rig 4:6
Heb 11:32

f Rig 4:14

g Nu 32:1

h Jos 22:9

i Jos 19:46, 48

Tweede kol.

a Jos 19:24, 29

b Rig 4:6, 10

c Rig 4:14

d Rig 4:13

e Rig 1:27

f Rig 4:16

g Rig 4:7, 13
Ps 83:9

h Ps 20:7
Spr 21:31

i Rig 4:17

j Rig 4:11

Aser het op die strand gesit en niks doen nie, en hy het by sy hawens* gebly.^a

- 18** Se'bulon was 'n volk wat hulle lewe gewaag het, en Naf'tali ook,^b op die heuwels.^c
- 19** Konings het gekom, hulle het geveg. Toe het die konings van Kanaän geveg^d in Ta'anag, by die waters van Megid'do.^e Hulle het geen silwer vir hulle geneem nie.^f
- 20** Vanuit die hemel het die sterre geveg. Vanuit hulle bane het hulle teen Si'sera geveg.
- 21** Die Kison-stroom het hulle weggespoel,^g die eeue oue stroom, die Kison-stroom. Jy het die magtige vertrap, o my siel.*
- 22** Toe het die hoewe van perde gedreun terwyl sy hingste wild gegalop het.^h
- 23** 'Vervloek Meros,' het die engel van Jehovah gesê, 'ja, vervloek sy inwoners, want hulle het nie gekom om Jehovah te help nie. Hulle het nie saam met die magtige manne gekom om Jehovah te help nie.'
- 24** Geseënd bo alle vrouens is Jael,ⁱ die vrou van Heber,^j die Keniet. Sy is die mees geseënde van die vrouens wat in tente woon.
- 25** Hy het vir water gevra, en sy het vir hom melk gegee.

5:17 *Of "landingsplekke". 5:21 *Sien Woordelys.

- In 'n pragtige feesbak het sy dikmelk* aangebied.^a
- 26** Met haar hand het sy die tentpen gevat, met haar regterhand die hamer van 'n ambagsman. Sy het Si'sera se kop met die hamer stukkend geslaan, en sy het sy slape vergruis en deurboor.^b
- 27** Tussen haar voete het hy inmeekaargesak, en hy het geval en bly lê. Tussen haar voete het hy inmeekaargesak en neergeval. Waar hy inmeekaargesak het, daar het hy geval, heeltemal oorwin.
- 28** By die venster het 'n vrou uitgekyk, Si'sera se ma het by die tralievenster uitgekyk: 'Hoekom vat sy strydwa so lank om te kom? Hoekom is die hoefslae van sy strydwaens so laat?'^c
- 29** Die wysste van haar belangrike vrouens het haar geantwoord, ja, sy het ook vir haarself bly sê:
- 30** 'Hulle verdeel seker wat hulle geneem het, 'n meisie,* twee meisies[#] vir elke vegter, gekleurde materiaal vir Si'sera, gekleurde materiaal, 'n geborduurde kleed, gekleurde materiaal, twee geborduurde kledingstukke vir die nekke van dié wat geplunder het.'
- 31** Laat al u vyande so vernietig word,^d o Jehovah, maar laat dié wat u liefhet, wees soos wanneer die

5:25 *Of "room". 5:30 *Lett. "baarmoeder". [#]Lett. "baarmoeders".

HFST. 5

a Rig 4:19

b Rig 4:21, 22

c Rig 4:15, 16

d Ps 83:9

Tweede kol.

a Rig 3:10, 11
Rig 3:30

HFST. 6

b Rig 2:19

c De 28:15, 48
Rig 2:14
Ne 9:28

d Nu 33:55

e 1Sa 13:5, 6

f Rig 3:13

g Rig 8:10

h De 28:15, 33
De 28:31, 48

i Rig 8:10

j Rig 7:12

k De 4:30

l Rig 2:18
Ps 107:19

m Eks 20:2
Le 26:13
Rig 2:1

n Jos 10:42
Ne 9:24

o De 6:4

son in sy heerlikheid opkom."

Daarna was daar 40 jaar lank vrede in die land.^a

6 Maar die Israeliete het weer begin doen wat sleg is in Jehovah se oë,^b en daarom het Jehovah hulle sewe jaar lank in Mi'dian se hand gegee.^c **2** Mi'dian het Israel oorheers.^d As gevolg van Mi'dian moes die Israeliete vir hulle wegkruipplekke* maak in die berge, in die grutte en op plekke wat moeilik is om te bereik.^e **3** As Israel saad gesaai het, het Mi'dian en A'malek^f en die Oosterlinge^g hulle aangeval. **4** Hulle het teen Israel opgetrek en die opbrengs van die land tot by Gasa verwoes, en hulle het niks vir Israel laat oorbly om te eet nie, en ook geen skape, bulle of donkies nie.^h **5** Hulle het met hulle vee en hulle tente gekom. Hulle was so baie soos sprinkane,ⁱ en hulle en hulle kamele kon nie getel word nie,^j en hulle het in die land ingekom om dit te verwoes. **6** Die Israeliete het dus brandarm geword as gevolg van Mi'dian, en hulle het tot Jehovah om hulp geroep.^k

7 Toe die Israeliete tot Jehovah om hulp geroep het as gevolg van Mi'dian,^l **8** het Jehovah 'n profeet na die Israeliete toe gestuur wat vir hulle gesê het: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek het julle uit Egipte uitgelei en julle uit die huis van slawerny bevry.^m **9** So het ek julle uit die hand van Egipte en uit die hand van al julle onderdrukkers gered en hulle voor julle verdryf en hulle land aan julle gegee.ⁿ **10** En ek het vir julle gesê: "Ek is Jehovah julle God.^o Julle mag nie

6:2 *Of moontlik "ondergrondse stoorplekke".

die gode dien van die Amoriëte in wie se land julle woon nie.”^a Maar julle het my nie gehoor-saam* nie.”^b

11 Later het Jehovah se engel gekom^c en onder die groot boom gesit wat in Ofra was, wat aan Joas, die Abiësriet,^d behoort het. Sy seun Gi’deon^e het koring in die wynpers uitgeslaan om dit vir Mi’dian weg te steek. **12** Jehovah se engel het aan hom verskyn en gesê: “Jehovah is met jou,^f magtige vegter.” **13** Gi’deon het toe vir hom gesê: “Verskoon my, my heer, maar as Jehovah met ons is, hoekom het al hierdie dinge met ons gebeur?^g Waar is al sy wonderlike dade waarvan ons vaders ons vertel het?^h Hulle het gesê: ‘Jehovah het ons uit Egipte laat trek.’ⁱ Maar nou het Jehovah ons verlaat^j en ons in Mi’dian se hand gegee.” **14** Jehovah het na hom gekyk en gesê: “Gaan met die krag wat jy het, en jy sal Israel uit Mi’dian se hand red.”^k Is dit nie ek wat jou stuur nie?” **15** Gi’deon het hom geantwoord: “Verskoon my, Jehovah. Hoe kan ek Israel red? My familiegroep* is die onbelangrikste in Manas’sse, en ek is die onbelangrikste in my vader se huis.” **16** Maar Jehovah het vir hom gesê: “Ek sal met jou wees,^l en daarom sal jy Mi’dian verslaan asof hulle een man is.”

17 Toe het Gi’deon vir hom gesê: “As ek dan nou u goedkeuring het, gee vir my ’n teken dat dit u is wat met my praat. **18** Moet asseblief nie hier weggaan totdat ek met my geskenk terugkeer en dit voor u neersit nie.”^m Toe het hy gesê: “Ek sal hier wag totdat jy terugkom.”

6:10 *Lett. “nie na my stem geluister”.
6:15 *Lett. “duisend”.

HFST. 6

a Jos 24:15

b De 28:15
Rig 2:2
Jer 3:13

c Rig 2:1

d Jos 17:2
Rig 6:24
Rig 8:32

e Ge 49:22, 24
Heb 11:32

f Rig 2:18

g Rig 6:2

h De 4:9
Ps 44:1

i Eks 13:14

j De 31:17
2Kr 15:2

k Rig 8:22
Heb 11:32

l De 20:3, 4
Rig 2:18

m Ge 18:3, 5
Rig 13:15

Tweede kol.

a Ge 18:6, 7
Ge 19:1, 3

b Le 9:24
Rig 13:19, 20
1Kn 18:38
1Kr 21:26
2Kr 7:1

c Rig 13:8, 9
Heb 13:2

d Ge 16:7, 13
Ge 32:24, 30
Rig 13:21, 22
Lu 1:11, 12

e Da 10:19

f Ge 22:14
Eks 17:15

g Eks 23:24
De 12:3

19 Gi’deon het ingegaan en ’n boklam voorberei en het ongesuurde brood met ’n efa* meel gemaak.^a Hy het die vleis in die mandjie gesit, en die sous in die kookpot. Toe het hy dit na hom toe gebring en hom onder die groot boom bedien.

20 Die engel van die ware God het toe vir hom gesê: “Neem die vleis en die ongesuurde brood en sit dit daar op die groot rots neer, en gooi die sous uit.” Hy het dit toe gedoen. **21** Toe het Jehovah se engel die staf wat in sy hand was, uitgesteek en met die punt daarvan aan die vleis en die ongesuurde brood geraak, en vuur het uit die rots opgevlam en die vleis en die ongesuurde brood verteer.^b Daarna het Jehovah se engel verdwyn. **22** Toe het Gi’deon besef dat dit Jehovah se engel was.^c

Gi’deon het dadelik gesê: “Ag nee, Soewereine Heer Jehovah, ek het Jehovah se engel persoonlik gesien!”^d **23** Maar Jehovah het vir hom gesê: “Mag jy vrede hê. Moenie bang wees nie.”^e Jy sal nie sterf nie.” **24** Toe het Gi’deon daar vir Jehovah ’n altaar gebou, en dit word tot vandag toe Jehovah-Sjalom*^f genoem. Dit is nog steeds in Ofra van die Abiësriete.

25 Daardie nag het Jehovah vir hom gesê: “Neem die jong bul wat aan jou pa behoort, die tweede jong bul wat sewe jaar oud is. Breek die altaar van Baäl af wat aan jou pa behoort, en kap die heilige paal* af wat langs die altaar is.^g **26** Bou met die ry klippe ’n altaar vir Jehovah jou God, en doen dit bo-op hierdie bergvesting, en

6:19 *Omtrent 22 l. Sien Aanh. B14.

6:24 *Beteken “Jehovah is vrede”.

6:25 *Sien Woordelys.

en neem dan die tweede jong bul en offer dit as 'n brandoffer op die stukke hout van die heilige paal* wat jy gaan afkap." **27** Gi'deon het toe tien van sy knegte geneem en gedoen net soos Jehovah vir hom gesê het. Maar hy was te bang vir sy pa se familie en die manne van die stad om dit in die dag te doen, en daarom het hy dit in die nag gedoen.

28 Toe die manne van die stad vroeg die volgende oggend opstaan, het hulle gesien dat die altaar van Baäl afgebreek is en dat die heilige paal* wat langs die altaar was, afgekap is, en dat die tweede jong bul geoffer is op die altaar wat gebou is. **29** Hulle het vir mekaar gevra: "Wie het dit gedoen?" Nadat hulle ondersoek ingestel het, het hulle gesê: "Gi'deon, die seun van Joas, het dit gedoen." **30** Daarom het die manne van die stad vir Joas gesê: "Bring jou seun uit. Hy moet sterf, want hy het die altaar van Baäl afgebreek en het die heilige paal* afgekap wat langs die altaar was." **31** Joas^a het toe vir die manne wat hom gekonfronteer het, gesê: "Moet julle Baäl verdedig? Moet julle hom kom red? Enigiemand wat hom verdedig, behoort vanoggend doodgemaak te word.^b As hy 'n god is, laat hy homself verdedig,^c want iemand het sy altaar afgebreek." **32** Op daardie dag het hy Gi'deon Jerub'baäl* genoem en gesê: "Laat Baäl homself verdedig, want iemand het sy altaar afgebreek."

33 Die hele Mi'dian^d en A'malek^e en die Oosterlinge het saamgespan,^f en hulle het die rivier oorgesteek en na die Jis'

HFST. 6

a Rig 6:11

b De 13:5
De 17:2-5c 1Kn 18:26, 27
Ps 115:5
Jer 10:5d Nu 25:17, 18
Rig 6:2e Eks 17:16
Nu 24:20
De 25:19f Rig 6:3
Rig 7:12

Tweede kol.

a Rig 3:9, 10
Rig 11:29
Rig 13:24, 25
Rig 14:6
Rig 15:14
Sag 4:6

b Rig 3:26, 27

c Jos 17:2

d Rig 6:14

HFST. 7

e Rig 6:11, 32

reël-vallei gegaan en kamp opgeslaan. **34** Toe het Jehovah se gees oor Gi'deon gekom,^{*a} en hy het op die horing geblaas,^b en die Abiësriete^c het by hom aangesluit. **35** Hy het boodskappers na die hele Manas'se gestuur, en hulle het ook by hom aangesluit. Hy het ook boodskappers na Aser, Se'bullen en Naf'tali gestuur, en hulle het hom kom ontmoet.

36 Toe het Gi'deon vir die ware God gesê: "As u Israel deur middel van my gaan red, net soos u belowe het,^d **37** gee my dan 'n teken. Ek gaan 'n vlies wol op die dorsvloer neersit. As daar net op die vlies dou is maar die grond om die vlies droog is, dan sal ek weet dat u Israel deur middel van my sal red, net soos u belowe het."

38 En dit is wat gebeur het. Toe hy vroeg die volgende dag opstaan en die vlies uitwring, het hy genoeg dou uit die vlies gekry om 'n groot feesbak vol water te maak. **39** Maar Gi'deon het vir die ware God gesê: "Moenie vir my kwaad word nie, maar laat my nog net een ding vra. Laat my asseblief nog net een toets met die vlies doen. Laat die vlies asseblief hierdie keer droog bly, terwyl daar dou oral op die grond is." **40** En dit is wat God daardie nag gedoen het. Die vlies was droog, maar daar was dou oral op die grond.

7 Toe het Jerub'baäl, dit wil sê Gi'deon,^e en al die manne wat by hom was, vroeg opgestaan en by die Harod-fontein kamp opgeslaan, terwyl die kamp van Mi'dian noord van hom was by die heuwel More in die valleivlakte. **2** Jehovah het toe vir Gi'deon gesê: "Daar is te veel manne by jou. Ek sal Mi'

6:26, 28, 30 *Sien Woordelys. **6:32** *Betekens "laat Baäl homself wetlik verdedig".

6:34 *Lett. "Gideon beklee".

dian nie in hulle hand gee nie.^a Anders sal Israel dalk spog en vir my sê: 'My eie hand het my gered.'^b **3** Maak nou asseblief die volgende aankondiging in die teenwoordigheid van die manne: 'Laat enigiemand wat bang is en bewe, teruggaan huis toe.'^c Toe het Gi'deon hulle getoets, en 22 000 van die manne het huis toe gegaan, en 10 000 het agtergebly.

4 Maar Jehovah het vir Gi'deon gesê: "Daar is nog steeds te veel manne. Laat hulle na die water gaan sodat ek hulle daar vir jou kan toets. Wanneer ek vir jou sê: 'Hierdie een sal saam met jou gaan,' sal hy saam met jou gaan, maar wanneer ek vir jou sê: 'Hierdie een sal nie saam met jou gaan nie,' sal hy nie saamgaan nie." **5** Daarom het hy die manne na die water laat gaan.

Toe het Jehovah vir Gi'deon gesê: "Skei die manne wat die water soos 'n hond met hulle tong oplek van die manne wat op hulle knieë gaan om te drink." **6** Daar was 300 manne wat die water opgelek het deur hulle hand na hulle mond toe te bring. Die res van die manne het op hulle knieë gegaan om water te drink.

7 Jehovah het toe vir Gi'deon gesê: "Ek sal jou red met die 300 manne wat die water opgelek het, en ek sal Mi'dian in jou hand gee.^d Maar laat al die ander manne teruggaan huis toe." **8** Nadat die 300 manne die padkos en die horings by die ander soldate gevat het, het Gi'deon al die ander manne van Israel teruggestuur huis toe, en hy het net die 300 manne gehou. Die kamp van Mi'dian was onder hom in die valleivlakte.^e

9 Gedurende daardie nag het Jehovah vir hom gesê: "Staan

HFST. 7

a 1Sa 14:6
2Kr 14:11

b 1Sa 17:47

c De 20:8

d Rig 7:2

e Rig 6:33

Tweede kol.

a Rig 3:9,10
Rig 4:14

b Rig 6:33

c Rig 6:3, 5

d Rig 6:16

e Rig 6:14

f Rig 7:7

g Rig 7:11

h Rig 7:8

op, val die kamp aan, want ek het dit in jou hand gegee.^a **10** Maar as jy bang is om aan te val, gaan dan saam met jou dienaar Pura af na die kamp. **11** Luister na wat hulle sê, en daarna sal jy die moed hê* om die kamp aan te val." Toe het hy en sy dienaar Pura afgegaan tot by die rand van die leëmag se kamp.

12 Mi'dian en A'malek en al die Oosterlinge^b het die valleivlakte bedek soos 'n swerm sprinkane, en hulle kamele, wat nie getel kon word nie,^c was so baie soos die sandkorrels op die strand. **13** Toe Gi'deon daar aankom, was daar 'n man wat besig was om 'n droom vir sy metgesel te vertel. Hy het gesê: "Ek het hierdie droom gehad. Daar was 'n ronde garsbrood wat in die kamp van Mi'dian ingerol het. Dit het by 'n tent gekom en dit so hard getref dat dit inmekeargeval het.^d Ja, dit het die tent onderstebo gekeer, en die tent het inmekeargeval." **14** Toe het sy metgesel gesê: "Dit kan net die swaard van Gi'deon,^e die seun van Joas, 'n man van Israel, wees. God het Mi'dian en die hele kamp in sy hand gegee."^f

15 Onmiddellik nadat Gi'deon die droom en die verduideliking daarvan gehoor het,^g het hy neergebuig om te aanbid. Daarna het hy na die kamp van Israel teruggegaan en gesê: "Staan op, want Jehovah het die kamp van Mi'dian in julle hand gegee." **16** Toe het hy die 300 manne in drie afdelings verdeel en vir hulle elkeen 'n horing gegee,^h sowel as 'n groot, leë kruik met 'n fakkel binne-in die kruik. **17** Toe het hy vir hulle gesê: "Hou my dop, en doen presies wat ek doen. Wanneer ek by die

7:11 *Lett. "jou hande sterk word".

rand van die kamp kom, moet julle doen presies wat ek doen.

18 Wanneer ek op die horing blaas, ek en almal wat saam met my is, moet julle ook op die horings blaas rondom die hele kamp, en julle moet skree: ‘Vir Jehovah en vir Gi’deon!’”

19 Aan die begin van die middelste nagwaak,* net nadat die wagte op hulle pos gekom het, het Gi’deon en die 100 manne wat saam met hom was, by die rand van die kamp aangekom. Hulle het op die horings geblaas^a en die groot waterkruike wat in hulle hande was, stukkend geslaan.^b **20** Toe het die drie afdelings op die horings geblaas en die groot kruike stukkend geslaan. Hulle het die fakels in hulle linkerhand gehou en op die horings geblaas wat in hulle regterhand was, en hulle het uitgeroep: “Die swaard van Jehovah en van Gi’deon!”

21 Die hele tyd het elke man op sy plek rondom die kamp bly staan, en die hele leërmag van Mi’dian het weggehardloop en geskree terwyl hulle gevlug het.^c **22** Die 300 het op die horings bly blaas, en Jehovah het in die hele kamp die swaard van die een teen die ander gedraai,^d en die leërmag het gevlug tot by Bet-Sitta, toe na Sere’ra, tot aan die rand van A’bel-Meho’la^e by Tabbat.

23 En die manne van Israel is uit Naf’tali, Aser en die hele Manas’ses^f bymekaarge-roep, en hulle het Mi’dian agternagesit. **24** Gi’deon het boodskappers na die hele bergstreek van E’fraim gestuur en gesê: “Gaan af en val Mi’dian aan, en beset die driewe van die Jordaanrivier en sy sytakke tot by Bet-Bara.” Toe is al die manne

7:19 *D.w.s. van omtrent 22:00 tot omtrent 02:00.

HFST. 7

a Rig 7:8

b Rig 7:16

c Eks 14:25
2Kn 7:6, 7

d 2Kr 20:23

e 1Kn 19:16

f Rig 6:35

Tweede kol.

a Ps 83:11
Jes 10:26

b Rig 8:4

HFST. 8

c Rig 7:2

d Rig 12:1
2Kr 25:10

e Rig 7:24

f Rig 6:11, 34

g Rig 7:24, 25

van E’fraim bymekaareroep, en hulle het die driewe van die Jordaanrivier en sy sytakke tot by Bet-Bara beset. **25** Hulle het ook die twee leiers van Mi’dian, Oreb en Seëb, gevange geneem. Hulle het Oreb op die rots van Oreb doodgemaak,^a en hulle het Seëb by die wynpers van Seëb doodgemaak. Hulle het aangehou om Mi’dian agterna te sit,^b en hulle het die koppe van Oreb en Seëb na Gi’deon toe gebring in die Jordaanstreek.

8 Toe het die manne van E’fraim vir hom gesê: “Wat het jy aan ons gedoen? Hoekom het jy ons nie geroep toe jy teen Mi’dian gaan veg het nie?”^c En hulle het bitterlik met hom gestry.^d **2** Maar hy het vir hulle gesê: “Wat het ek gedoen in vergelyking met julle? Is die oesoorblyfsels van E’fraim^e nie beter as die druiwe-oes van Abiëser^f nie? **3** God het Mi’dian se leiers, Oreb en Seëb,^g in julle hand gegee, en wat het ek gedoen in vergelyking met julle?” Toe hy dit* sê, het hulle gekalmeer.^h

4 Gi’deon het toe by die Jordaanrivier aangekom en dit oorgesteek. Hy en die 300 manne saam met hom was moeg, maar hulle het hulle vyande bly agtervolg. **5** Toe het hy vir die manne van Sukkot gesê: “Gee asseblief brode aan die manne wat my volg, want hulle is moeg en ek is besig om Seba en Sal’munna, die konings van Mi’dian, agterna te sit.” **6** Maar die leiers van Sukkot het gevra: “Hoekom moet ons vir jou leërmag brood gee? Het jy Seba en Sal’munna al klaar gevang?” **7** Toe het Gi’deon gesê: “Om-

8:3 *Lett. “hierdie woord”. ^hLett. “het hulle gees teenoor hom bedaar”.

dat julle dit gesê het, sal ek julle met doringtakke van die wildernis slaan wanneer Jehovah Seba en Sal'munna in my hand gee."^a **8** Daarna het hy na Pnuel gegaan en hulle ook vir brood gevra, maar die manne van Pnuel het hom dieselfde antwoord gegee as die manne van Sukkot. **9** Daarom het hy ook vir die manne van Pnuel gesê: "Wanneer ek in vrede terugkeer, sal ek hierdie toring afbreek."^b

10 Seba en Sal'munna was in Karkor saam met hulle leërmagte, ongeveer 15 000 manne. Dit was al wat van die hele leërmag van die Oosterlinge^c oorgebly het, want 120 000 manne wat met die swaard gewapen was, was reeds dood. **11** Gi'deon het verder gegaan op die roete van die tentbewoners oos van Nobag en Jog'beha^d en het die kamp aangeval terwyl hulle nie op hulle hoede was nie. **12** Toe Mi'dian se twee konings, Seba en Sal'munna, vlug, het hy hulle agternagesit en hulle gevange geneem, en dit het die hele kamp paniekbevang gemaak.

13 Gi'deon, die seun van Joas, het toe van die oorlog af teruggekeer met die pas wat na Heres opgaan. **14** Op pad het hy 'n jong man van Sukkot gevange geneem en hom ondervra. Toe het die jong man vir hom die name neergeskryf van die leiers en ouermanne van Sukkot, 77 manne. **15** Toe het hy na die manne van Sukkot toe gegaan en gesê: "Hier is Seba en Sal'munna oor wie julle my gespot het deur te sê: 'Hoekom moet ons vir jou uitgeputte manne brood gee? Het jy Seba en Sal'munna al klaar gevange?'"^e **16** Toe het hy die ouermanne van Sukkot met doringtakke van die wildernis

HFST. 8

a Rig 8:16

b Rig 8:17

c Rig 7:12

d Nu 32:34, 35

e Rig 8:5, 6

Tweede kol.

a Rig 8:7

b Rig 8:8, 9

c Ps 83:11

d Rig 6:14

e Eks 15:18
1Sa 10:19
Jes 33:22
Jes 43:15f Ge 16:11
Ge 25:13
Ge 28:9
Ge 37:28

geslaan om hulle 'n les te leer.^a **17** En hy het die toring van Pnuel afgebreek^b en die manne van die stad doodgemaak.

18 Hy het vir Seba en Sal'munna gesê: "Watter soort manne het julle in Tabor doodgemaak?" Toe het hulle gesê: "Hulle was soos u. Elkeen van hulle het soos die seun van 'n koning gelyk." **19** Toe het hy gesê: "Hulle was my broers, die seuns van my ma. So waar as wat Jehovah lewe, as julle hulle lewens gespaar het, sou dit nie vir my nodig wees om julle dood te maak nie." **20** Toe het hy vir Jeter, sy eersgeborene, gesê: "Staan op, maak hulle dood." Maar die jong man het nie sy swaard uitgetrek nie. Hy was bang, want hy was nog 'n jong man. **21** Toe het Seba en Sal'munna gesê: "Staan self op en maak ons dood, want 'n man word gemeet aan sy krag."^{*} Gi'deon het toe opgestaan en Seba en Sal'munna doodgemaak^c en die halfmaanvormige versierings geneem wat aan die nekke van hulle kamele was.

22 Later het die manne van Israel vir Gi'deon gesê: "Regeer oor ons, jy en jou seun sowel as jou kleinseun, want jy het ons uit Mi'dian se hand gered."^d **23** Maar Gi'deon het vir hulle gesê: "Ek sal nie oor julle regeer nie, en my seun sal ook nie oor julle regeer nie. Jehovah sal oor julle regeer."^e **24** Gi'deon het verder gesê: "Daar is een ding wat ek van julle wil vra: Laat elkeen van julle vir my 'n neusring gee uit die buit wat julle geneem het." (Die mense wat verslaan is, het goue neusringe gehad omdat hulle Ismaeliete was.)^f **25** Hulle het geantwoord: "Ons sal dit met

8:21 *Of "want soos 'n man is, so is sy krag".

graagte gee." Toe het hulle 'n mantel uitgesprei, en elke man het 'n neusring gevat uit die buit wat hy geneem het en dit op die mantel gegooi. **26** Die gewig van die goue neusringe wat hy gevra het, was 1700 sik-kels,* behalwe die halfmaan-vormige versierings, die oorbelle, die klere van pers wol wat die konings van Mi'dian gedra het en die kettinkies wat aan die kamele se nekke was.^a

27 Gi'deon het 'n efod^b daarvan gemaak en dit in sy stad, Ofra,^c vertoon, en die hele Israel het dit daar begin aanbid,*^d en dit was 'n strik vir Gi'deon en sy familie.^e

28 So is Mi'dian^f voor die Israëliete onderwerp, en hulle was nie meer 'n bedreiging vir hulle nie,* en in Gi'deon se tyd was daar 40 jaar lank vrede in die land.^g

29 Jerub'baäl,^h die seun van Joas, het na sy huis toe gegaan en daar gebly.

30 Gi'deon het mettertyd 70 seuns gehad,* want hy het baie vrouens gehad. **31** Hy het ook 'n seun by sy byvrou in Sigem gehad, en hy het hom Abime'leg' genoem. **32** Gi'deon, die seun van Joas, het op 'n goeie ouderdom gesterf, en hy is in die graf van sy pa, Joas, in Ofra van die Abiësriete/ begrawe.

33 Gi'deon was skaars dood toe die Israëliete weer die Baäls begin aanbid het,*^k en hulle het Baäl-Berit' as hulle god gekies.^l **34** Die Israëliete het nie meer

8:26 *'n Sikkal was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. 8:27 *Of "het geestelike prostitusie daarmee gepleeg". 8:28 *Lett. "het nie hulle kop opgelig nie". 8:30 *Lett. "het 70 seuns gehad wat uit sy dy gekom het". 8:33 *Of "geestelike prostitusie met die Baäls gepleeg het".

HFST. 8

a Rig 8:21

b Eks 28:6
Rig 17:5

c Rig 6:11

d Rig 2:17

e Ps 106:36

f Rig 6:1

g Rig 3:11
Rig 5:31h Rig 6:32
1Sa 12:11i Rig 9:1, 2
2Sa 11:21

j Rig 6:11, 24

k Rig 2:17, 19
Rig 10:6

l Rig 9:4

Tweede kol.

a Rig 3:7

b Ps 106:43

c Rig 9:16-18

HFST. 9

d Rig 8:30, 31

e Rig 8:30

f Rig 8:33
Rig 9:46g Rig 6:11
Rig 8:27h 2Kn 11:1
2Kr 21:4i De 17:14
1Sa 8:7

gedink aan Jehovah hulle God,^a wat hulle uit die hand van al hulle vyande om hulle gered het nie.^b **35** Hulle het ook nie lo-jale liefde betoon aan die familie van Jerub'baäl, dit wil sê Gi'deon, in ruil vir al die goeie dinge wat hy vir Israel gedoen het nie.^c

9 Ná verloop van tyd het Abime'leg,^d die seun van Jerub'baäl, na sy ma se broers in Sigem gegaan, en hy het vir hulle en vir sy oupa se hele familie* gesê: **2** "Vra asseblief vir al die leiers* van Sigem: 'Wat is vir julle beter? Dat al 70 seuns van Jerub'baäl^e oor julle regeer of dat een man oor julle regeer? Onthou dat ek julle eie vlees en bloed is.'"

3 Toe het sy ma se broers hierdie boodskap aan die leiers van Sigem oorgedra, en die leiers is oorreed* om Abime'leg te volg, want hulle het gesê: "Hy is ons broer." **4** Toe het hulle vir hom 70 silwerstukke uit die tempel* van Baäl-Berit'^f gegee, en Abime'leg het dit gebruik om slegte, nikswerd manne te huur om hom te volg. **5** Daarna het hy na sy pa se huis in Ofra^g gegaan en sy broers, die seuns van Jerub'baäl, 70 manne, op een klip doodgemaak.^h Die enigste oorlewende was Jotam, die jongste seun van Jerub'baäl, want hy het weggekruip.

6 Toe het al die leiers van Sigem en die hele Bet-Millo byme-kaargekom en Abime'leg koning gemaakⁱ naby die groot boom, by die pilaar in Sigem.

7 Toe hulle dit vir Jotam vertel, het hy dadelik op die top van

9:1 *Lett. "die familie van die huis van die vader van sy moeder". 9:2 *Of moontlik "grondeienaars". 9:3 *Lett. "hulle harte is oorgehaal". 9:4 *Lett. "huis".

die berg Geri'sim^a gaan staan en met 'n harde stem vir hulle gesê: "Luister na my, o leiers van Sigem, en dan sal God na julle luister.

8 "Eenkeer was daar bome wat gegaan het om 'n koning oor hulle te salf. Hulle het dus vir die olyfboom gesê: 'Regeer oor ons.'^b **9** Maar die olyfboom het vir hulle gesê: 'Moet ek my olie* opgee, wat gebruik word om God en mense te verheerlik, sodat ek oor die ander bome kan gaan regeer?'" **10** Toe het die bome vir die vyeboom gesê: 'Kom regeer oor ons.' **11** Maar die vyeboom het vir hulle gesê: 'Moet ek my soetigheid en my goeie vrugte opgee sodat ek oor die ander bome kan gaan regeer?' **12** Daarna het die bome vir die wingerdstok gesê: 'Kom regeer oor ons.' **13** Die wingerdstok het hulle geantwoord: 'Moet ek my nuwe wyn opgee, wat God en mense vrolik maak, sodat ek oor die bome kan gaan regeer?' **14** Laastens het al die ander bome vir die doringstruik gesê: 'Kom regeer oor ons.'^c **15** Toe het die doringstruik vir die bome gesê: 'As julle my werklik as koning oor julle salf, moet julle in my skaduwee kom skuiling soek. Maar indien nie, laat vuur dan uit die doringstruik uitgaan en laat dit die sederbome van die Li'banonberge verteer.'

16 "Was julle eerlik en opreg toe julle Abime'leg koning gemaak het,^d en het julle goedheid betoon aan Jerub'baäl en sy huisgesin, en het julle hom behandel soos hy verdien om behandel te word? **17** Toe my pa vir julle geveg het,^e het hy sy lewe* gewaag om julle uit Mi-

HFST. 9

a De 11:29
Jos 8:33
Joh 4:20

b Rig 8:22

c Rig 9:6

d Rig 9:6

e Rig 7:9

Tweede kol.

a Rig 8:28

b Rig 9:5

c Rig 8:30, 31

d Rig 9:6, 49

e Rig 9:39, 53

f Rig 9:5

g Ge 9:6
Rig 9:5

h Jos 21:20, 21
Jos 24:1

dian se hand te red.^a **18** Maar vandag het julle teen my pa se huisgesin opgestaan en sy seuns, 70 manne, op een klip doodgemaak.^b Toe het julle Abime'leg, die seun van sy slavin,^c oor die leiers van Sigem koning gemaak net omdat hy julle broer is. **19** Ja, as julle vandag eerlik en opreg teenoor Jerub'baäl en sy huisgesin optree, moet julle bly wees oor Abime'leg, en laat hy ook bly wees oor julle. **20** Maar indien nie, laat vuur dan uit Abime'leg uitgaan en die leiers van Sigem en Bet-Millo verteer,^d en laat vuur uit die leiers van Sigem en Bet-Millo uitgaan en Abime'leg verteer."^e

21 Toe het Jotam^f na Beër gevlug, en hy het daar gaan woon as gevolg van sy broer Abime'leg.

22 Abime'leg het drie jaar lank oor Israel regeer.* **23** Toe het God vyandskap laat ontstaan* tussen Abime'leg en die leiers van Sigem, en hulle was ontrou aan Abime'leg. **24** Dit het gebeur sodat die gewelddadige moord van die 70 seuns van Jerub'baäl gewreek kon word, sodat hulle broer Abime'leg, wat hulle vermoor het, gestraf kon word en sodat die leiers van Sigem, wat Abime'leg gehelp het om sy broers te vermoor,^g ook gestraf kon word. **25** En die leiers van Sigem het manne op die bergtoppe laat weggroep sodat hulle hom kon aanval, en hulle het almal beroof wat op die pad by hulle verbygegaan het. Ná verloop van tyd is Abime'leg hiervan vertel.

26 Toe het Gaäl, die seun van Ebed, en sy broers na Sigem^h gekom, en die leiers van Sigem het hulle vertrou in hom

9:9 *Of "vrugbaarheid". [#]Lett. "waai". 9:17 *Of "siel".

9:22 *Of "baasgespeel". 9:23 *Lett. "n slegte gees gestuur".

gestel. **27** Hulle het na hulle wingerde gegaan en die druiwe van hulle wingerde geoes, dit getrap en feesgevier. Daarna het hulle in die huis van hulle god^a ingegaan, en hulle het geëet en gedrink en Abime'leg vervloek. **28** Toe het Gaäl, die seun van Ebed, gesê: "Wie is Abime'leg en Sigem nou eintlik dat ons hulle moet dien? Abime'leg is maar net die seun van Jerub'baäl,^b en Sebul is sy hoofbeampte. Dien eerder die manne van Hemor, Sigem se pa! Maar hoekom moet ons Abime'leg dien? **29** As hierdie volk onder my bevel was, sou ek Abime'leg uit sy posisie verwyder het." Toe het hy vir Abime'leg gesê: "Maak jou leërmag groter en kom veg teen my."

30 Toe Sebul, die leier van die stad, hoor wat Gaäl, die seun van Ebed, sê, het hy woedend geword. **31** Daarom het hy in die geheim* boodskappers na Abime'leg toe gestuur om te sê: "Kyk! Gaäl, die seun van Ebed, en sy broers is nou in Sigem, en hulle is besig om die stad teen jou op te stook. **32** Gaan nou in die nag, jy en jou manne, en kruip in die veld weg. **33** Sodra die son opkom, moet jy die stad aanval. En wanneer hy en sy manne teen jou uitkom, moet julle alles in julle vermoë doen om hulle te verslaan."*

34 Toe het Abime'leg en al die manne in die nag gegaan, in vier afdelings verdeel en gaan wegkruip om Sigem aan te val. **35** Toe Gaäl, die seun van Ebed, uitgegaan het en by die ingang van die stadspoort gaan staan het, het Abime'leg

9:31 *Of "het hy op 'n slinkse manier".

9:33 *Of "aan hom doen wat julle hand moontlik vind".

HFST. 9

a Rig 8:33

b Rig 6:32

Tweede kol.

a Rig 9:28, 29

b Rig 9:30

en die manne saam met hom uit hulle wegkruipplek uitgekom. **36** Toe Gaäl die manne sien, het hy vir Sebul gesê: "Kyk! Daar is mense wat van die bergtoppe af kom." Maar Sebul het vir hom gesê: "Jy sien maar net die skaduwees van die berge, en dit lyk vir jou soos mense."

37 Later het Gaäl gesê: "Kyk! Daar is mense wat van die middel van die gebied af kom, en een afdeling kom uit die rigting van die groot boom van Meo'nenim." **38** Toe het Sebul vir hom gesê: "Ja, jy wou mos spog en sê: 'Wie is Abime'leg dat ons hom moet dien?'" Is dit nie die manne wat jy verwerp het nie? Gaan nou uit en veg teen hulle."

39 Toe het Gaäl as die bevelvoerder van die leiers van Sigem uitgegaan en teen Abime'leg geveg. **40** Abime'leg het hom agternagesit, en Gaäl het voor hom gevlug. Baie is doodgemaak, en die lyke het tot by die ingang van die stadspoort gelê.

41 Abime'leg het in A'ruma gebly, en Sebul^b het Gaäl en sy broers uit Sigem uitgedryf.

42 Toe die mense die volgende dag in die veld uitgegaan het, het Abime'leg daarvan gehoor.

43 Daarom het hy die manne geneem en hulle in drie afdelings verdeel en in die veld gaan wegkruip. Toe hy die mense uit die stad sien uitgaan, het hy hulle aangeval en doodgemaak.

44 Abime'leg en die afdelings saam met hom het vorentoe gestorm en stelling ingeneem by die ingang van die stadspoort, terwyl twee afdelings almal in die veld aangeval en doodgemaak het. **45** Abime'leg het daardie hele dag teen die stad geveg en dit ingeneem. Hy het die mense daarin doodgemaak,

en toe het hy die stad afgebreek^a en sout oral in die stad gestrooi.

46 Toe al die leiers van die toring van Sigem daarvan hoor, het hulle onmiddellik na die kelder* van die tempel[#] van El-Berit^b gegaan. **47** Toe daar vir Abime'leg gesê is dat al die leiers van die toring van Sigem bymekaargekom het, **48** het Abime'leg en al die manne saam met hom teen die berg Salmon opgeklim. Abime'leg het 'n byl geneem en 'n boomtak afgekap. Toe het hy dit opgetel en dit op sy skouer gesit en vir die manne saam met hom gesê: "Maak gou en doen presies wat ek gedoen het!" **49** Toe het al die manne ook takke afgekap en Abime'leg gevolg. Toe het hulle die takke teen die kelder gesit en die kelder aan die brand gestee. Al die mense van die toring van Sigem het ook gesterf, ongeveer 1 000 mans en vrouens.

50 Abime'leg het toe na Tebes gegaan. Hy het Tebes aangeval en dit ingeneem. **51** Daar was 'n sterk toring in die middel van die stad, en al die mans en vrouens en al die leiers van die stad het soontoe gevlug. Hulle het die deur agter hulle gesluit en op die dak van die toring geklim. **52** Abime'leg het na die toring gegaan en dit aangeval. Hy het tot by die ingang van die toring gegaan om dit aan die brand te steek. **53** Toe het een van die vrouens 'n meulsteen op Abime'leg se kop gegooi en sy skedel vergruis.^c **54** Hy het gou die dienaar geroep wat sy wapens dra en vir hom gesê: "Neem jou swaard en maak my dood, sodat hulle nie van my sal sê: "n Vrou het hom doodgemaak' nie." Toe

9:46 *Of "vesting". # Lett. "huis".

HFST. 9

a 1Kn 12:25

b Rig 8:33
Rig 9:4, 27

c 2Sa 11:21

Tweede kol.

a Ge 9:6
Rig 9:5, 24

b Rig 9:7, 20

c Rig 6:32

HFST. 10

d Rig 2:16

e De 3:14

f Rig 2:19
Rig 4:1
Rig 6:1
Ne 9:28

g Rig 3:7
Ps 106:36-38

h Nu 25:1, 2

i 1Kn 11:5
2Kn 23:13

j Rig 16:23
1Sa 5:4
2Kn 1:2

het sy dienaar hom deurboor, en hy het gesterf.

55 Toe die manne van Israel sien dat Abime'leg dood is, het hulle almal teruggegaan huis toe. **56** So het God Abime'leg terugbetaal vir die slegte dinge wat hy aan sy pa gedoen het toe hy sy 70 broers doodgemaak het.^a **57** God het ook die manne van Sigem terugbetaal vir al die slegte dinge wat hulle gedoen het.* So het die vloek van Jotam,^b die seun van Jerub'baäl,^c oor hulle gekom.

10 Ná Abime'leg het Tola, die seun van Pua, die seun van Dodo, 'n man uit Is'saskar, opgestaan om Israel te red.^d Hy het in Samir in die bergstreek van E'fraim gewoon. **2** Hy het 23 jaar lank as rigter oor Israel gedien. Toe het hy gesterf, en hy is in Samir begrawe.

3 Ná hom het Jaïr, die Gileadiet, opgestaan en 22 jaar lank as rigter oor Israel gedien. **4** Hy het 30 seuns gehad wat op 30 donkies gery het, en hulle het 30 stede gehad, wat tot vandag toe Hawwot-Jaïr^e genoem word. Hierdie stede is in die land Gi'lead. **5** Daarna het Jaïr gesterf, en hy is in Kamon begrawe.

6 Toe het die Israeliete weer gedoen wat sleg is in Jehovah se oë,^f en hulle het die Baäls,^g die Asto'ret-beelde, die gode van Aram,^{*} die gode van Sidon, die gode van Moab,^h die gode van die Ammonieteⁱ en die gode van die Filistyne^j begin dien. Hulle het Jehovah verlaat en opgehou om hom te dien. **7** Toe het Jehovah woedend geword vir Israel, en hy het hulle in die hand van die

9:57 *Of "al die slegte dinge van die manne van Sigem op hulle koppe laat neerkom". 10:6 *Of "Sirië".

Filistyne en die Ammoniete oor-gelewer.*^a **8** Hulle het die Israeliete dus erg onderdruk in daardie jaar – 18 jaar lank het hulle die Israeliete onderdruk in Gi'lead, aan die kant van die Jordaanrivier wat voorheen die land van die Amoriete was. **9** Die Ammoniete het ook die Jordaanrivier oorgesteek om teen Juda en Benjamin en die huis van E'fraim te veg, en Israel het baie swaargekry. **10** Toe het die Israeliete tot Jehovah om hulp begin roep^b en gesê: “Ons het teen u gesondig, want ons het ons God verlaat en die Baäls gedien.”^c

11 Maar Jehovah het vir die Israeliete gesê: “Het ek julle nie gered van Egipte,^d die Amoriete,^e die Ammoniete, die Filistyne,^f **12** die Sidoniërs, A'malek en Mi'dian toe hulle julle onderdruk het nie? Toe julle tot my geroep het, het ek julle uit hulle hand gered. **13** Maar julle het my verlaat en ander gode gedien.^g Daarom sal ek julle nie weer red nie.^h **14** Gaan na die gode wat julle gekies het, en vra hulle om julle te help.ⁱ Laat hulle julle red nou dat julle in die moeilikheid is.”^j **15** Maar die Israeliete het vir Jehovah gesê: “Ons het gesondig. Doen met ons wat u ook al wil, maar red ons net asseblief vandag.” **16** En hulle het ontslae geraak van hulle vreemde gode en het Jehovah gedien,^k en daarom kon hy nie meer verdra dat Israel so ly nie.^l

17 Ná verloop van tyd is die Ammoniete^m bymekaargeroep, en hulle het in Gi'lead kamp opgeslaan. Daarom het die Israeliete bymekaargekom en in Mispa kamp opgeslaan. **18** Die manne en die leiers van Gi'le-

10:7 *Lett. “verkoop”.

HFST. 10

a De 28:15, 48
De 31:17
Rig 2:14
Rig 4:2

b De 4:30

c Rig 2:13
Rig 3:7
1Sa 12:9, 10

d Eks 14:30

e Nu 21:23-25

f Rig 3:31

g Rig 2:12

h 2Kr 15:2
Mi 3:4

i 1Kn 18:27

j Jer 2:28

k De 7:26

l 2Kr 7:14
2Kr 33:13, 15
Ps 106:44
Jes 63:9

m Ge 19:36, 38
Rig 3:13

Tweede kol.

a Rig 11:1

HFST. 11

b Rig 12:7
1Sa 12:11
Heb 11:32

c Rig 10:17

d Rig 11:2

e Rig 10:18

ad het vir mekaar gesê: “Wie sal die leiding neem in die geveg teen die Ammoniete?^a Laat hy die hoof oor al die inwoners van Gi'lead word.”

11 Jefta,^b die Gileadiet, was 'n magtige vegter. Hy was die seun van 'n prostituut, en Gi'lead was sy pa. **2** Maar Gi'lead se vrou het ook vir hom aan seuns geboorte gegee. Toe die seuns van sy vrou grootgeword het, het hulle Jefta verdryf en vir hom gesê: “Jy sal nie 'n erfeede in ons pa se familie hê nie, want jy is die seun van 'n ander vrou.” **3** Daarom het Jefta van sy broers gevlug en in die land Tob gaan woon. En mans wat nie werk gehad het nie, het by Jefta aangesluit, en hulle het hom gevolg.

4 Later het die Ammoniete teen Israel geveg.^c **5** En toe die Ammoniete teen Israel geveg het, het die ouermanne van Gi'lead onmiddellik gegaan om Jefta uit die land Tob terug te bring. **6** Hulle het vir Jefta gesê: “Kom dien as ons bevelvoerder, sodat ons teen die Ammoniete kan veg.” **7** Maar Jefta het vir die ouermanne van Gi'lead gesê: “Julle het my mos so gehaat dat julle my uit my pa se huis verdryf het.^d Hoekom kom julle na my toe nou dat julle in die moeilikheid is?” **8** Toe het die ouermanne van Gi'lead vir Jefta gesê: “Dit is juis hoekom ons na jou toe gekom het. As jy saam met ons gaan en teen die Ammoniete veg, sal jy die leier word van al die inwoners van Gi'lead.”^e **9** Toe het Jefta vir die ouermanne van Gi'lead gesê: “As julle my terugbring om teen die Ammoniete te veg en Jehovah hulle vir my verslaan, dan sal ek beslis julle leier word!” **10** Die ouermanne van Gi'lead het vir Jefta gesê: “Jehovah is

ons getuie.* Mag hy ons oordeel as ons nie doen wat jy sê nie.” **11** Jefta het dus saam met die ouermanne van Gi'lead gegaan, en die volk het hom as hulle leier en bevelvoerder aangestel. En Jefta het al sy woorde voor Jehovah in Mispa^a herhaal.

12 Jefta het toe boodskappers na die koning van die Ammoniete^b gestuur en gevra: “Wat het u teen my* dat u my land kom aanval?” **13** Toe het die koning van die Ammoniete vir Jefta se boodskappers gesê: “Dit is omdat Israel my land geneem het toe hulle uit Egipte gekom het,^c van die Arnon-vallei^d af tot by die Jabbok-vallei en tot by die Jordaanrivier.^e Gee dit nou in vrede terug.” **14** Maar Jefta het weer boodskappers na die koning van die Ammoniete gestuur **15** om vir hom te sê:

“Dit is wat Jefta sê: ‘Israel het nie die land van die Moabiete^f en die land van die Ammoniete^g geneem nie, **16** want toe hulle uit Egipte gekom het, het Israel deur die wildernis tot by die Rooise getrek^h en by Kades aangekom.ⁱ **17** Toe het Israel boodskappers na die koning van Edom^j gestuur en gesê: “Laat ons asseblief deur u land trek,” maar die koning van Edom wou niks daarvan weet nie. Hulle het ook 'n boodskap aan die koning van Moab^k gestuur, maar hy het nie ingestem nie. Daarom het Israel in Kades gebly.^l **18** Toe hulle verder deur die wildernis getrek het, het hulle om die land Edom^m en die land Moab gegaan. Hulle het oos van die land Moab getrekⁿ en in die Arnon-streek kamp opgeslaan. Hulle het nie binne Moab se grense gekom nie,^o

11:10 *Lett. “die een wat hoor”. **11:12** *Lett. “Wat vir my en vir u”.

HFST. 11

a Rig 10:17
Rig 11:34

b Ge 19:36, 38

c Nu 21:23, 24

d Nu 21:26

e De 3:16, 17

f Ge 19:36, 37
De 2:9

g De 2:19, 37

h Nu 14:25

i Nu 20:1

j Ge 36:1
Nu 20:14
De 2:4

k Ge 19:36, 37

l Nu 20:22

m Nu 21:4

n Nu 21:11

o Nu 21:13

Tweede kol.

a Nu 21:21-26
De 2:26, 27

b De 2:32, 33

c Jos 13:15, 21

d De 2:36

e Ne 9:22

f 1Kn 11:7

g Eks 23:28
Eks 34:11
Nu 33:53
De 9:5
De 18:12

h Nu 22:2, 3
Jos 24:9

i Nu 21:25

j Nu 21:26

want die Arnon-vallei was die grens van Moab.

19 “Daarna het Israel boodskappers na koning Sihon van die Amoriete, die koning van Hesbon, gestuur, en Israel het vir hom gesê: “Laat ons asseblief deur u land na ons eie plek trek.”^a **20** Maar Sihon het Israel nie vertrou nie en het nie toegelaat dat hulle deur sy gebied trek nie. Daarom het Sihon al sy manne bymekaar laat kom en in Jahas kamp opgeslaan en teen Israel geveg.^b **21** Toe het Jehovah, die God van Israel, Sihon en sy hele volk in Israel se hand gegee, en hulle het hulle verslaan. Israel het die hele land waar die Amoriete gewoon het, in besit geneem.^c **22** So het hulle die hele gebied van die Amoriete in besit geneem, van die Arnon-vallei af tot by die Jabbok-vallei en van die wildernis af tot by die Jordaanrivier.^d

23 “Jehovah, die God van Israel, het die Amoriete voor sy volk Israel verdryf.^e Wil u Israel nou verdryf? **24** U besit tog wat u god Kamos^f aan u gegee het om te besit. Net so sal ons die land erf van elkeen wat Jehovah ons God voor ons verdryf het.^g **25** Is u dan nou enigins beter as Balak^h die seun van Sippor, die koning van Moab? Het hy ooit met Israel gestry, of het hy ooit teen hulle geveg? **26** Israel woon al 300 jaar lank in Hesbon en sy afhanklike* dorpiesⁱ en in A'roër en sy afhanklike dorpies en in al die stede langs die Arnon-vallei. Hoekom het julle dit nooit gedurende daardie tyd probeer terugneem nie?^j **27** Ek het nie teen u gesondig nie, maar u is verkeerd om my aan te val. Laat Jehovah,

11:26 *Of “omliggende”.

die Regter,^a vandag tussen die Israeliete en die Ammoniete oordeel.”

28 Maar die koning van die Ammoniete wou nie luister na die boodskap wat Jefta aan hom gestuur het nie.

29 Jehovah se gees het oor Jefta gekom,^b en hy het deur Gi'lead en Manas'se getrek om na Mispe in Gi'lead te gaan,^c en van Mispe in Gi'lead af het hy verder gegaan na die Ammoniete.

30 Toe het Jefta 'n gelofte aan Jehovah gemaak^d en gesê: “As u die Ammoniete in my hand gee, **31** dan sal ek die persoon wat uit my huis na my toe uitkom wanneer ek in vrede van die Ammoniete af terugkeer, aan Jehovah gee.^e Ek sal daardie persoon as 'n brandoffer aanbied.”^f

32 Toe het Jefta teen die Ammoniete gaan veg, en Jehovah het hulle in sy hand gegee.

33 Hy het baie van hulle in 'n groot slagting doodgemaak, van A'roër af tot by Minnit – 20 stede – en tot by A'bel-Kera'mim. So is die Ammoniete voor die Israeliete onderwerp.

34 Uiteindelik het Jefta by sy huis in Mispa^g aangekom, en sy dogter het uitgekóm om hom te ontmoet terwyl sy dans en op die tamboeryn speel! Sy was sy enigste kind. Hy het geen ander kinders gehad nie. **35** Toe hy haar sien, het hy sy klere geskeur en gesê: “Ag nee, my dogter! Jy het my hart gebreek,^{*} want nou het jy die een geword wat ek moet wegstuur. Ek het 'n gelofte aan Jehovah gemaak, en ek kan dit nie terugtrek nie.”^h

36 Maar sy het vir hom gesê: “As Pa 'n gelofte aan Jeho-

11:35 *Lett. “Jy het my baie laag laat buig”.

HFST. 11
a Jes 33:22

b Rig 3:9, 10
Sag 4:6

c Rig 10:17

d De 23:21

e 1Sa 1:11

f 1Sa 1:24

g Rig 10:17
Rig 11:11

h Nu 30:2
Ps 15:4
Pr 5:4

Tweede kol.
a Rig 11:30, 31

b 1Sa 1:22, 24

HFST. 12

c Rig 8:1

d Rig 11:29

vah gemaak het, doen met my wat Pa belowe het,^a want Jehovah het vir Pa wraak geneem op ons vyande, die Ammoniete.”

37 Sy het toe vir hom gesê: “Ek wil een ding vra: Laat my twee maande lank alleen wees, en laat my na die berge toe gaan, en laat my saam met my vriendinne gaan treur omdat ek nooit sal trou nie.”^{*}

38 Toe het hy gesê: “Gaan!” En hy het haar vir twee maande weggestuur, en sy het saam met haar vriendinne na die berge gegaan om te gaan treur omdat sy nooit sou trou nie. **39** Toe sy twee maande later na haar pa toe teruggekeer het, het hy sy gelofte in verband met haar nagekom.^b Sy het nooit seksuele omgang met 'n man gehad nie. En dit het 'n gewoonte* in Israel geword **40** vir die jong vroue van Israel om elke jaar, vier dae in die jaar, na die dogter van Jefta, die Gileadiet, te gaan om haar te prys.

12 Toe is die manne van E'fraim bymeakaargeroep, en hulle het na Safon* gegaan en vir Jefta gevra: “Hoekom het jy ons nie geroep om saam met jou te gaan om teen die Ammoniete te veg nie?^c Ons sal jou saam met jou huis afbrand.”

2 Maar Jefta het vir hulle gesê: “Ek en my volk was in 'n groot geveg teen die Ammoniete. Ek hét julle hulp gevra, maar julle het my nie uit hulle hand gered nie. **3** Toe ek sien dat julle my nie gaan red nie, het ek besluit om my lewe te waag en teen die Ammoniete te gaan veg,^d en Jehovah het hulle in my hand gegee. Hoekom het julle dan vandag teen my kom veg?”

11:37 *Lett. “oor my maagdelikheid huil”. 11:39 *Of “voorskrif”. 12:1 *Of moontlik “noordwaarts”.

4 Jefta het toe al die manne van Gi'lead^a bymekaar laat kom, en hulle het teen E'fraim geveg. Die manne van Gi'lead het E'fraim verslaan, wat vroeër gesê het: "Al woon julle, die Gileadiete, in die gebied van E'fraim en Manas'se, is julle maar net 'n spul vlugtelinge uit E'fraim."

5 Gi'lead het die driewe van die Jordaanrivier beset^b voordat E'fraim daar gekom het. Wanneer een van die manne van E'fraim probeer ontsnap het en gesê het: "Laat my deurgaan," het die manne van Gi'lead hom gevra: "Is jy 'n Efraimiet?" As hy gesê het: "Nee!" 6 het hulle vir hom gesê: "Sê asseblief Sjib'bollet." Maar dan het hy "Sib'bollet" gesê omdat hy die woord nie reg kon uitspreek nie. Hulle het hom dan gegryp en hom by die driewe van die Jordaanrivier doodgemaak. So is 42 000 Efraimiete in daardie tyd doodgemaak.

7 Jefta, die Gileadiet, het ses jaar lank as rigter oor Israel gedien. Toe het Jefta gesterf, en hy is in sy stad in Gi'lead begrawe.

8 Ná hom het Ibsan, van Betlehem, as rigter oor Israel gedien.^c 9 Hy het 30 seuns en 30 dogters gehad. Hy het sy dogters laat trou met mans wat nie deel van sy familie was nie, en hy het 30 vrouens wat nie deel van sy familie was nie, vir sy seuns ingebring. Hy het sewe jaar lank as rigter oor Israel gedien. 10 Toe het Ibsan gesterf, en hy is in Betlehem begrawe.

11 Ná hom het Elon, die Sebuloniet, tien jaar lank as rigter oor Israel gedien. 12 Toe het Elon, die Sebuloniet, gesterf, en hy is in A'jalon in die land van Se'bulon begrawe.

13 Ná hom het Abdon, die seun van Hillel, die Pirato-

HFST. 12

a De 3:12, 13

b Rig 3:28
Rig 7:24

c Rig 2:16

Tweede kol.

a Ge 36:12
Eks 17:16
Nu 13:29
1Sa 15:2

HFST. 13

b Rig 2:11, 19
Rig 10:6c Jos 13:1-3
Rig 10:7

d Rig 16:31

e Ge 49:16

f Jos 15:20, 33
Jos 19:41, 48

g Ge 30:22, 23

h Ge 18:10
1Sa 1:20
Lu 1:11, 13i Nu 6:2, 3
Lu 1:15

j Le 11:26, 27

k Nu 6:2, 5

l Rig 2:16
Rig 13:1
Ne 9:27

m Rig 13:17, 18

niet, as rigter oor Israel gedien. 14 Hy het 40 seuns en 30 kleinseuns gehad wat op 70 donkies gery het. Hy het agt jaar lank as rigter oor Israel gedien. 15 Toe het Abdon, die seun van Hillel, die Piratoniet, gesterf, en hy is in P'iraton in die land van E'fraim op die berg van die Amalekiete^a begrawe.

13 Die Israëliete het weer gedoen wat sleg is in Jehovah se oë,^b en Jehovah het hulle 40 jaar lank in die hand van die Filistyne^c gegee.

2 In daardie tyd het Mano'ag,^d 'n man uit die stam van Dan,^e in Sora^f gewoon. Sy vrou was onvrugbaar en kinderloos.^g

3 Op 'n dag het Jehovah se engel aan die vrou verskyn en vir haar gesê: "Kyk, jy is onvrugbaar en kinderloos. Maar jy sal swanger word en aan 'n seun geboorte gee.^h 4 Sorg dat jy nie wyn of enige ander alkohol drink nie,ⁱ en moenie enigiets eet wat onrein is nie.^j 5 Jy sal swanger word en aan 'n seun geboorte gee, en geen skeermes mag aan sy kop raak nie,^k want die kind sal van geboorte af* 'n Nasire'ër van God wees, en hy sal die leiding neem om Israel uit die hand van die Filistyne te red."^l

6 Toe het die vrou vir haar man gaan sê: "'n Man van die ware God het na my toe gekom, en hy het gelyk soos 'n engel van die ware God, baie ontsagwekkend. Ek het hom nie gevra waar hy vandaan kom nie, en hy het ook nie vir my gesê wat sy naam is nie.^m 7 Maar hy het vir my gesê: 'Jy sal swanger word en aan 'n seun geboorte gee. Moenie wyn of enige ander alkohol drink nie, en moenie enigiets eet wat onrein is nie,

13:5 * Lett. "van die baarmoeder af".

want die kind sal van geboorte af* tot die dag van sy dood 'n Nasire'ër van God wees.”

8 Mano'ag het Jehovah gesmeek: “Verskoon my, Jehovah. Laat die man van die ware God wat u so pas gestuur het, asseblief weer na ons toe kom om vir ons te sê wat ons moet doen met die kind wat gebore sal word.” **9** Toe het die ware God na Mano'ag geluister, en die engel van die ware God het weer na die vrou toe gekom terwyl sy in die veld gesit het. Haar man, Mano'ag, was nie by haar nie. **10** Die vrou het onmiddellik gehardloop en vir haar man gesê: “Kom! Die man wat die ander dag na my toe gekom het, is weer hier.”^a

11 Toe het Mano'ag opgestaan en saam met sy vrou na die man toe gegaan en vir hom gevra: “Is u die man wat met my vrou gepraat het?” Hy het geantwoord: “Ja, ek is.” **12** Toe het Mano'ag gesê: “Mag u woorde waar word! Watter soort lewe sal die kind lei, en watter werk sal hy doen?”^b **13** Toe het Jehovah se engel vir Mano'ag gesê: “Jou vrou moet wegbly van alles wat ek genoem het.”^c **14** Sy mag niks eet wat van die wingerdstok af kom nie, sy mag geen wyn of enige ander alkohol drink nie,^d en sy mag niks eet wat onrein is nie.^e Laat sy alles doen wat ek haar beveel het.”

15 Mano'ag het toe vir Jehovah se engel gesê: “Bly asseblief, en laat ons 'n boklam vir u voorberei.”^f **16** Maar Jehovah se engel het vir Mano'ag gesê: “As ek bly, sal ek nie van jou kos eet nie, maar as jy 'n brandoffer vir Jehovah wil aanbied, kan jy dit doen.” Mano'ag het nie geweet dat dit Jehovah

13:7 *Lett. “van die baarmoeder af”.

HFST. 13
a Rig 13:3

b Rig 13:8

c Rig 13:4

d Nu 6:2, 3

e Le 11:26, 27

f Ge 18:5, 7
Rig 6:18, 19
Heb 13:2

Tweede kol.

a Ge 32:29
Rig 13:6

b Rig 6:22, 23

c Eks 33:20
Joh 1:18

d Rig 13:16

e Heb 11:32

f Rig 3:9, 10
Rig 6:34
Rig 11:29
1Sa 11:6

g Rig 18:11, 12

h Jos 15:20, 33

se engel is nie. **17** Toe het Mano'ag vir Jehovah se engel gevra: “Wat is u naam?”^a Dan kan ons u eer wanneer u woorde waar word.” **18** Maar Jehovah se engel het vir hom gesê: “Moenie vra wat my naam is nie, want dit is 'n wonderlike naam.”

19 Toe het Mano'ag die boklam en die graanoffer geneem en dit op die rots aan Jehovah geoffer. En Hy* het iets verbasends gedoen terwyl Mano'ag en sy vrou toegekyk het. **20** Terwyl die vlam van die altaar na die hemel opgestyg het, het Jehovah se engel in die vlam van die altaar opgevaar terwyl Mano'ag en sy vrou toegekyk het. Hulle het dadelik met hulle gesigte na die grond toe neergebui. **21** Jehovah se engel het nie weer aan Mano'ag en sy vrou verskyn nie. Toe het Mano'ag besef dat dit Jehovah se engel was.^b **22** Mano'ag het toe vir sy vrou gesê: “Ons gaan beslis sterf, want ons het God gesien.”^c **23** Maar sy vrou het vir hom gesê: “As Jehovah ons wou doodmaak, sou hy nie ons brandoffer^d en graanoffer aanvaar het nie. Hy sou ons ook nie al hierdie dinge laat sien het nie, en hy sou nie vir ons al hierdie dinge gesê het nie.”

24 Later het die vrou aan 'n seun geboorte gegee en hom Simson^e genoem. Terwyl die seun grootgeword het, het Jehovah hom bly seën. **25** Ná verloop van tyd het Jehovah se gees hom begin aandryf^f in Ma'hane-Dan,^g tussen Sora en Esta'ol.^h

14 Toe het Simson na Timna gegaan, en daar het hy 'n Filistynse vrou* gesien. **2** Hy het toe vir sy ouers gesê: “Ek

13:19 *Blykbaar God. 14:1 *Lett. “'n vrou van die dogters van die Filistyne”.

het in Timna 'n Filistynse vrou gesien, en ek wil hê dat julle haar vir my as 'n vrou moet kry.” **3** Maar sy ouers het vir hom gevra: “Kan jy nie 'n vrou onder jou familieledede en onder ons hele volk vind nie? Moet jy onder die onbesnede Filistyne vir jou 'n vrou gaan vat?” Maar Simson het vir sy pa gesê: “Kry haar vir my, want sy is die regte een vir my.”* **4** Sy ouers het nie geweet dat dit van Jehovah af kom nie. Hy het 'n geleentheid gesoek om teen die Filistyne op te tree, want die Filistyne het op daardie stadium oor Israel regeer.^b

5 Simson het toe saam met sy ouers na Timna gegaan. Toe hy by die wingerde van Timna kom, het 'n leeu* brullend op hom afgestorm! **6** Toe het Jehovah se gees hom krag gegee,^c en hy het dit in twee geskeur, net soos iemand 'n boklam met sy kaal hande in twee skeur. Maar hy het nie vir sy ouers gesê wat hy gedoen het nie. **7** Daarna het hy verder gegaan en met die vrou gepraat, en sy was nog steeds die regte een in sy oë.^d

8 Later, toe hy teruggaan om haar huis toe te neem,^e het hy gaan kyk na die leeu se karkas, en daar was 'n swerm bye en heuning in die karkas. **9** Toe het hy dit in sy hande uitgeskraap en dit geëet terwyl hy geloop het. Toe hy weer by sy ouers kom, het hy vir hulle van die heuning gegee om te eet, maar hy het nie vir hulle gesê dat hy dit uit 'n leeu se karkas geskraap het nie.

10 Simson het saam met sy pa na die vrou toe gegaan, en hy het 'n feesmaal daar gehou, want dit was wat die jong manne

14:3 *Lett. “sy is reg in my oë”. **14:5** *Of “jong maanhaarleeu”.

HFST. 14
a De 7:3

b Rig 13:1

c Rig 13:24, 25

d Rig 14:2

e Ge 24:67
Mt 1:24

Tweede kol.
a Rig 14:8, 9

b Rig 16:5

c Rig 16:15

d Rig 16:16, 18

gewoonlik gedoen het. **11** Toe hulle hom sien, het hulle 30 jong manne gekies om hom gedurende die feesmaal geselskap te hou. **12** Toe het Simson vir hulle gesê: “Ek wil vir julle 'n raaisel vertel. As julle dit gedurende die sewe dae van die feesmaal oplos en vir my sê wat die antwoord is, dan sal ek vir julle 30 kledingstukke van linne en 30 stelle klere moet gee. **13** Maar as julle my nie die antwoord kan gee nie, dan moet julle vir my 30 kledingstukke van linne en 30 stelle klere gee.” Hulle het gesê: “Vertel ons jou raaisel. Ons wil hoor wat dit is.” **14** Toe het hy vir hulle gesê:

“Uit die een wat eet, kom daar iets om te eet, en uit die sterke kom daar iets soets.”^a

Hulle kon drie dae lank nie die raaisel oplos nie. **15** Op die vierde dag het hulle vir Simson se vrou gesê: “Oorreed jou man^b om die antwoord op die raaisel vir jou te gee. Anders sal ons jou en jou pa se huis met vuur verbrand. Het julle ons hierheen genooi om ons besittings te vat?” **16** Simson se vrou het by hom gehuil en gesê: “Jy haat my seker. Jy is nie lief vir my nie.^c Jy het vir my mense 'n raaisel vertel, maar jy het nie vir my gesê wat die antwoord is nie.” Toe het hy vir haar gesê: “Ek het nie eers vir my ouers gesê wat die antwoord is nie! Hoekom moet ek vir jou sê wat dit is?” **17** Maar sy het gedurende die res van die sewe dae van die feesmaal by hom bly huil. Uiteindelik, op die sewende dag, het hy vir haar gesê wat die antwoord is, want sy het druk op hom geplaas. Toe het sy vir haar mense gesê wat die antwoord op die raaisel is.^d **18** Op die sewende dag voor

sonsondergang* het die manne van die stad dus vir hom gesê:

“Wat is soeter as heuning, en wat is sterker as ‘n leeu?”^a

Hy het hulle geantwoord:

“As julle nie met my kalf geploeg het nie,^b sou julle nie my raaisel opgelos het nie.”

19 Toe het Jehovah se gees hom krag gegee,^c en hy het na As'kelon^d gegaan en 30 van hulle manne doodgemaak en hulle klere geneem en die stelle klere gegee vir dié wat die antwoord op die raaisel gehad het.^e Hy het woedend teruggegaan na sy pa se huis toe.

20 Simson se vrou^f is toe gegee aan een van die jong manne wat hom geselskap gehou het.^g

15 Ná 'n ruk, in die tyd van die koringoes, het Simson vir sy vrou gaan kuier en 'n boklam saamgeneem. Hy het gesê: “Ek wil na my vrou toe gaan in die slaapkamer.”^h Maar haar pa het hom nie toegelaat om in te gaan nie. **2** Haar pa het gesê: “Ek het gedink jy haat haar,^h en daarom het ek haar vir een van die jong manne gegee wat jou geselskap gehou het.ⁱ Maar hoekom vat jy nie eerder haar jonger suster nie? Sy is nog mooier as sy.” **3** Maar Simson het vir hulle gesê: “Hierdie keer kan die Filistyne my nie blameer as ek hulle skade aandoen nie.”

4 Simson het toe 300 jakkals se gaan vang. Toe het hy fakkels geneem, die jakkalse se sterte twee-twee aan mekaar vasgebind en 'n fakkels tussen elke paar sterte gesit. **5** Toe het hy die fakkels aangesteek en

14:18 *Of moontlik “voordat hy in die binnekamer ingegaan het”. **15:1** *Of “binnekamer”.

HFST. 14
a Rig 14:14

b Rig 14:15

c Rig 13:24, 25
Rig 14:6
Rig 15:14

d Jos 13:2, 3
Rig 1:18

e Rig 14:12

f Rig 14:2

g Rig 14:11
Rig 15:1, 2

HFST. 15
h Rig 14:17

i Rig 14:11, 20

Tweede kol.
a Rig 14:11, 20

b Rig 14:15

c Rig 14:4

d 2Sa 23:11, 12

e Rig 13:1

die jakkalse in die Filistyne se graanlande ingestuur. Hy het alles aan die brand gestee, van die graanbondels tot die onge-snyde graan, sowel as die wingerde en die olyfboorde.

6 Die Filistyne het gevra: “Wie het dit gedoen?” Daar is vir hulle gesê: “Dit was Simson. Hy het dit gedoen omdat sy skoonpa, die Timniet, sy vrou geneem het en haar aan een van die jong manne gegee het wat hom by sy troue geselskap gehou het.”^a Toe het die Filistyne gegaan en haar en haar pa met vuur verbrand.^b **7** Simson het vir hulle gesê: “As julle so optree, sal ek nie rus totdat ek wraak op julle geneem het nie.”^c **8** Toe het hy die een ná die ander doodgemaak in 'n groot slagting, en daarna het hy in 'n grot* by Etam gaan woon.

9 Later het die Filistyne Juda binnegeval, daar kamp opgeslaan en die omgewing van Legi^d beroof. **10** Toe het die manne van Juda gevra: “Hoekom het julle ons gebied binnegeval?” Hulle het geantwoord: “Ons het gekom om Simson te vang,* om aan hom te doen net soos hy aan ons gedoen het.” **11** Daarom het 3 000 manne van Juda na die grot* by Etam gegaan en vir Simson gevra: “Weet jy nie dat die Filistyne oor ons regeer nie?^e Hoekom het jy dit dan aan ons gedoen?” Hy het vir hulle gesê: “Net soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen.” **12** Maar hulle het vir hom gesê: “Ons het gekom om jou te vang* en om jou in die hand van die Filistyne te gee.” Toe het Simson gesê: “Sweer vir my dat julle my nie sal aanval nie.” **13** Hulle het

15:8, 11 *Of “rotskloof”. **15:10, 12** *Of “vas te bind”.

vir hom gesê: “Nee, ons sal jou net vasbind en jou in hulle hand gee, maar ons sal jou nie doodmaak nie.”

Toe het hulle hom met twee nuwe toue vasgebind en hom uit die kloof gebring. **14** Toe hy by Legi gekom het, het die Filistyne in oorwinning uitgeroep toe hulle by hom kom. Toe het Jehovah se gees hom krag gegee,^a en die toue aan sy arms het soos linnedrade geword wat met vuur verskroei is, en sy boeie het van sy hande afgesmelt.^b **15** Hy het toe ’n vars kakebeen van ’n donkie gevind. Hy het dit gegryp en 1000 manne daarmee doodgeslaan.^c **16** Toe het Simson gesê:

“Met die kakebeen van ’n donkie – een hoop, twee hope!

Met die kakebeen van ’n donkie het ek 1000 manne doodgeslaan.”^d

17 Nadat hy dit gesê het, het hy die kakebeen weggegooi en die plek Ramat-Legi^e genoem. **18** Toe het hy baie dors geword, en hy het tot Jehovah geroep en gesê: “U het u kneg hierdie groot oorwinning* gegee. Maar moet ek nou doodgaan van die dors en in die hande beland van manne wat nie besny is nie?” **19** Daarom het God ’n holte in Legi oopgeklouf, en water het daaruit gevloei.^f Nadat hy gedrink het, het sy krag* teruggekeer en het hy beter gevoel. Hy het die plek dus En-Hakko’re^g genoem, wat tot vandag toe in Legi is.

20 En hy het 20 jaar lank as rigter oor Israel gedien in die tyd van die Filistyne.^g

15:17 *Betekens “hoogte van die kakebeen”. **15:18** *Of “redding”. **15:19** *Lett. “gees”. ^aBetekens “fontein van die een wat roep”.

HFST. 15

a Rig 13:24, 25
Rig 14:5, 6

b Rig 16:9, 12

c Rig 3:31

d Rig 16:30

e Rig 15:9

f Eks 17:6

g Ge 49:16
Rig 2:16
Rig 13:1, 5
Rig 16:31
Heb 11:32

Tweede kol.

HFST. 16

a Rig 16:18

b Rig 14:15

16 Eenkeer het Simson na Gasa gegaan. Daar het hy ’n prostituut gesien en by haar huis ingegaan. **2** Die Gasiete het gehoor dat Simson daar is. Toe het hulle hom omsingel en hom die hele nag lank in die stadspoort ingewag. Hulle het die hele nag doodstil gebly en gedink: ‘Wanneer dit lig word, sal ons hom doodmaak.’

3 Simson het egter tot midnag daar bly lê. Toe het hy opgestaan en die deure van die stadspoort en die twee syposse gegryp en dit saam met die grendel uitgeruk. Hy het dit op sy skouers gesit en dit opgedra na die top van die berg oorkant He’bron.

4 Later het hy verlief geraak op ’n vrou in die Sorek-vallei,* en haar naam was Deli’la.^a

5 Toe het die leiers van die Filistyne na haar toe gekom en vir haar gesê: “Oorreed* hom^b om vir jou te sê wat hom so sterk maak en hoe ons hom kan oorweldig en vasbind. As jy dit doen, sal elkeen van ons vir jou 100 silwerstukke gee.”

6 Deli’la het later vir Simson gesê: “Sê asseblief vir my wat jou so sterk maak en wat gebruik kan word om jou vas te bind en die oorhand oor jou te kry.” **7** Simson het vir haar gesê: “As hulle my vasbind met sewe vars boogsnare* wat nog nie uitgedroog het nie, sal ek so swak soos ’n gewone mens word.” **8** Toe het die leiers van die Filistyne vir haar sewe vars boogsnare gebring wat nog nie uitgedroog het nie, en sy het hom daarmee vasgebind. **9** Manne het in die binnekamer weggekruip, en sy het uitgeroep: “Die Filistyne is hier,

16:4 *Of “wadi Sorek”. Sien Woordelys. **16:5** *Of “Mislei”. **16:7** *Of “senings”.

Simson!" Toe het hy die boogsnare gebreek, net so maklik soos 'n vlasdraad in twee breek wanneer dit aan 'n vuur raak.^a Die geheim van sy krag het nie bekend geword nie.

10 Toe het Deli'la vir Simson gesê: "Kyk! Jy het my vir die gek gehou en vir my gelieg. Sê nou asseblief vir my wat gebruik kan word om jou vas te bind." **11** Toe het hy vir haar gesê: "As hulle my vasbind met nuwe toue waarmee geen werk gedoen is nie, sal ek so swak soos 'n gewone mens word."

12 Toe het Deli'la nuwe toue geneem en hom daarmee vasgebind en uitgeroep: "Die Filistyne is hier, Simson!" (Die manne het die hele tyd in die binnekamer weggekruip.) Toe het hy die toue soos garing van sy arms afgebreek.^b

13 Daarna het Deli'la vir Simson gesê: "Jy het my toe vir die gek gehou en vir my gelieg.^c Sê vir my wat gebruik kan word om jou vas te bind." Toe het hy vir haar gesê: "Jy moet my sewe haarvlegsels met die lengtedraad saamweef."

14 Sy het toe sy vlegsels met 'n pen vasgedruk en uitgeroep: "Die Filistyne is hier, Simson!" Hy het wakker geword en die weefpen en die lengtedraad uitgeruk.

15 Toe het sy vir hom gesê: "Hoe kan jy sê: 'Ek is lief vir jou,'^d terwyl jou hart nie met my is nie? Jy het my nou al drie keer vir die gek gehou en nie vir my gesê hoekom jy so sterk is nie."^e **16** Omdat sy dag ná dag by hom bly kerm het en druk op hom geplaas het, het hy later gevoel hy wil doodgaan.^f **17** Uiteindelik het hy haar alles vertel en gesê: "'n Skeermes het nog nooit aan my kop geraak nie,

HFST. 16

a Rig 15:14

b Rig 16:9

c Rig 16:7,11

d Rig 14:16

e Rig 16:7
Rig 16:11
Rig 16:13

f Rig 14:17

Tweede kol.

a Nu 6:5
Rig 13:5,7

b Rig 16:5

c Rig 16:9
Rig 16:12
Rig 16:14

d Rig 13:5

e 1Sa 5:4

f Rig 15:4,5

g Rig 15:7,8
Rig 15:15,16

want ek is van geboorte af* 'n Nasire'ër van God.^a As my hare geskeer sou word, sal my krag my verlaat, en ek sal swak word en soos alle ander mense word."

18 Toe Deli'la sien dat hy haar alles vertel het, het sy die Filistynse leiers onmiddellik laat roep^b en gesê: "Kom hierdie keer op, want hy het vir my alles vertel." Daarom het die Filistynse leiers na haar toe gekom en die geld saamgebring.

19 Sy het hom op haar knieë aan die slaap laat raak. Toe het sy die man geroep en hom die sewe vlegsels van sy kop laat afskeer. Daarna het sy die oorhand oor hom begin kry, want sy krag het hom begin verlaat.

20 Toe het sy uitgeroep: "Die Filistyne is hier, Simson!" Hy het wakker geword en gesê: "Ek sal soos die ander kere uitgaan^c en my losskud." Maar hy het nie geweet dat Jehovah hom verlaat het nie. **21** Toe het die Filistyne hom gegryp en sy oë uitgesteek. Hulle het hom na Gasa gebring en hom met twee koperboeie vasgebind. Hulle het hom 'n graanmaler in die tronk gemaak. **22** Maar nadat hy geskeer is, het die hare van sy kop weer begin groei.^d

23 Die Filistynse leiers het bymekaargekom om 'n groot offerande aan hulle god Dagon^e te offer en om fees te vier, want hulle het gesê: "Ons god het ons vyand Simson in ons hand gegee!" **24** Toe die volk hom sien, het hulle hulle god geloof en gesê: "Ons god het ons vyand, die een wat ons land verwoes het^f en so baie van ons doodgemaak het,^g in ons hand gegee."

25 Omdat hulle in 'n vrolike bui was, het hulle gesê: "Gaan

16:17 * Lett. "van my ma se baarmoeder af".

haal Simson sodat hy ons kan vermaak." Toe het hulle Simson uit die tronk gaan haal om hulle te vermaak, en hulle het hom tussen die pilare laat staan. **26** Toe het Simson vir die seun wat sy hand vasgehou het, gesê: "Laat my die pilare voel wat die huis ondersteun, sodat ek daarteen kan leun." **27** (Die huis was vol mans en vrouens. Al die Filistynse leiers was daar, en op die dak was daar ongeveer 3 000 mans en vrouens wat toegekyk het terwyl Simson vermaak verskaf het.)

28 Simson^a het toe tot Jehovah geroep en gesê: "Soewerine Heer Jehovah, dink asseblief aan my en versterk my^b asseblief net hierdie een keer, o God, en laat my op die Filistynse wraak neem vir een van my twee oë."^c

29 Toe het Simson geleun teen die twee middelste pilare wat die huis ondersteun het, met sy regterhand op die een pilaar en sy linkerhand op die ander pilaar. **30** Simson het uitgeroep: "Laat my saam met die Filistyne sterf!" Toe het hy met al sy krag gestoot, en die huis het op die leiers en al die mense daarin geval.^d By sy dood het hy dus meer mense doodgemaak as wat hy gedurende sy lewe doodgemaak het.^e

31 Later het sy broers en sy pa se hele familie gekom om sy lyk terug te neem. Hulle het hom teruggebring en hom tussen Sora^f en Esta'ol in die graf van sy pa, Mano'ag,^g begrawe. Hy het 20 jaar lank as rigter oor Israel gedien.^h

17 In die bergstreek van E'fraimⁱ het daar 'n man gewoon met die naam Miga. **2** Hy het vir sy ma gesê: "Onthou Ma die 1 100 silwerstukke

HFST. 16

a Heb 11:32

b Rig 14:5, 6

Rig 14:19

Rig 15:14

c Rig 16:21

d Rig 16:27

e Rig 14:19

Rig 15:7, 8

Rig 15:15, 16

f Rig 13:2

g Rig 13:8

h Rig 2:16

Rig 15:20

HFST. 17

i Jos 17:14, 15

Tweede kol.

a Eks 20:4

Le 26:1

De 27:15

b Eks 28:6

Rig 8:27

c Ge 31:19

d Nu 3:10

De 12:11, 13

2Kr 13:8, 9

e 1Sa 8:4, 5

f Rig 21:25

g Mi 5:2

h Nu 3:45

Jos 14:3

Jos 18:7

i Rig 17:1, 5

wat by Ma gesteel is en waaroor ek gehoor het Ma 'n vloek uitgespreek het? Ek het daardie silwer. Ek is die een wat dit gevat het." Toe het sy ma gesê: "Mag jy geseën word deur Jehovah, my seun." **3** Toe het hy die 1 100 silwerstukke vir sy ma teruggegee, maar sy ma het gesê: "Ek sal die silwer beslis vir Jehovah heilig, sodat my seun 'n uitgekerfde beeld en 'n metaalbeeld daarvan kan maak.^a Ek sal dit vir jou teruggee."

4 Nadat hy die silwer vir sy ma teruggegee het, het sy 200 silwerstukke geneem en dit vir die silwersmid gegee. Hy het 'n uitgekerfde beeld en 'n metaalbeeld gemaak, en dit is in Miga se huis gesit. **5** Hierdie man Miga het 'n huis met gode gehad, en hy het 'n efod^b en terafim-beelde^{*c} gemaak en een van sy seuns aangestel[#] om vir hom as priester te dien.^d **6** In daardie dae was daar geen koning in Israel nie.^e Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.^{*f}

7 En daar was 'n jong man van Betlehem^g in Juda wat van die familie van Juda was.* Hy was 'n Leviet^h wat 'n ruk lank daar gewoon het. **8** Die man het die stad Betlehem in Juda verlaat, op soek na 'n ander blyplek. Op pad, in die bergstreek van E'fraim, het hy by die huis van Miga aangekom.ⁱ **9** Toe het Miga vir hom gevra: "Waar kom jy vandaan?" Hy het geantwoord: "Ek is 'n Leviet uit Betlehem in Juda, en ek is op soek na 'n ander blyplek." **10** Toe het Miga vir hom gesê: "Woon by my, en dien as 'n raadgever^{*n} en

17:5 *Of "huisgode; afgode". # Lett. "die hand van een van sy seuns gevul".

17:6 *Of "wat hy gedink het reg is".

17:7 *Dit beteken moontlik net dat hy in die gebied van Juda gewoon het.

17:10 *Lett. "vader".

'n priester vir my. Ek sal jou tien silwerstukke per jaar en 'n stel klere en kos gee." Toe het die Leviet ingegaan. **11** Die Leviet het dus ingestem om by die man te woon, en die jong man het soos een van sy seuns geword. **12** Miga het die Leviet ingehuldig* om as 'n priester vir hom te dien,^a en hy het in Miga se huis gewoon. **13** Miga het toe gesê: "Nou weet ek dat Jehovah goed sal wees vir my, want die Leviet het my priester geword."

18 In die tyd toe daar nie 'n koning in Israel was nie,^b was die stam van Dan^c op soek na 'n erfdeel waar hulle kon woon, want hulle het tot op daardie tyd nog nie hulle hele erfdeel onder die stamme van Israel ontvang nie.^d

2 Die Daniëte het vyf manne uit hulle familie gestuur om die land te gaan verken, bekwame manne uit Sora en Esta'ol.^e Hulle het vir hulle gesê: "Gaan verken die land." Toe hulle in die bergstreek van E'fraim kom, by Miga se huis,^f het hulle daar oornag. **3** Terwyl hulle naby Miga se huis was, het hulle die stem* van die jong Leviet herken, en hulle het na hom toe gegaan en hom gevra: "Wie het jou hierheen gebring? Wat maak jy hier? Hoekom bly jy hier?" **4** Hy het hulle vertel wat Miga vir hom gedoen het en dat hy hom gehuur het om vir hom as priester te dien.^g **5** Toe het hulle vir hom gesê: "Vra God asseblief of ons reis suksesvol sal wees." **6** Die priester het vir hulle gesê: "Gaan in vrede. Jehovah is met julle op julle reis."

7 Daarom het die vyf manne verder gegaan en by Lajis^h gekom. Hulle het gesien dat die

17:12 *Lett. "die hand van die Leviet gevul". 18:3 *Of "aksent".

HFST. 17

a Nu 3:10
Rig 17:5

HFST. 18

b Rig 8:23
1Sa 8:4, 5

c Jos 19:40

d Jos 19:47, 48
Rig 1:34

e Jos 19:41, 48

f Rig 17:1, 5

g Rig 17:9, 10

h Jos 19:47, 48
Rig 18:29

Tweede kol.

a Rig 18:27

b Jos 15:20, 33
Rig 18:2

c Rig 18:7, 27

d Eks 3:8
De 8:7-9

e Rig 18:2

f 1Sa 7:1

g Rig 13:24, 25

h Rig 17:1, 5

i Rig 18:2
Rig 18:29

j De 27:15
Rig 17:4, 5

k Rig 17:7, 12
Rig 18:30

mense wat daar woon, nie van ander afhanklik was nie, net soos die Sidoniërs. Hulle was rustig en onbesorg,^a en daar was geen onderdrukkende veroweraar in die land om hulle vrede te versteur nie. Hulle was ver van die Sidoniërs af, en hulle het nie kontak met ander gehad nie.

8 Toe hulle na hulle broers in Sora en Esta'ol^b teruggegaan het, het hulle broers vir hulle gevra: "Hoe het dit gegaan?" **9** Hulle het geantwoord: "Laat ons hulle aanval, want ons het gesien dat die land baie goed is. Waarvoor wag julle? Moenie huiwer nie. Gaan neem die land in besit. **10** Wanneer julle daar kom, sal julle 'n niksvermoedende volk vind,^c en daar is baie plek. God gee dit in julle hand, 'n plek waar daar geen gebrek aan enigiets op aarde is nie."^d

11 Toe het 600 manne van die stam van Dan wat gewapen was om oorlog te voer, van Sora en Esta'ol^e vertrek. **12** Hulle het by Kir'jat-Jea'rim^f in Juda kamp opgeslaan. Daarom word daardie plek, wat was van Kir'jat-Jea'rim is, tot vandag toe Ma'hane-Dan*^g genoem. **13** Van daar af het hulle verder gegaan na die bergstreek van E'fraim en by Miga se huis^h gekom.

14 Toe het die vyf manne wat die gebied van Lajisⁱ gaan verken het, vir hulle broers gesê: "Het julle geweet dat daar in hierdie huise 'n efod, terafimbeelde,* 'n uitgekerfde beeld en 'n metaalbeeld^j is? Julle weet wat om te doen." **15** Toe het hulle na die huis van die jong Leviet^k gegaan, wat by Miga se huis was, en gevra hoe dit met

18:12 *Betenen "kamp van Dan". 18:14 *Of "huisgode; afgode".

hom gaan. **16** Die hele tyd het die 600 manne van Dan^a wat gewapen was om oorlog te voer, by die poort gestaan. **17** Die vyf manne wat die land gaan verken het,^b het ingegaan om die uitgekerfde beeld, die efod,^c die terafim-beelde^{*d} en die metaalbeeld^e te neem. (Die priester^f het by die poort gestaan, by die 600 manne wat gewapen was om oorlog te voer.) **18** Hulle het in Miga se huis ingegaan en die uitgekerfde beeld, die efod, die terafim-beelde^{*} en die metaalbeeld geneem. Die priester het gevra: "Wat maak julle?" **19** Maar hulle het vir hom gesê: "Bly stil. Hou jou mond, en gaan saam met ons sodat jy 'n raadgewer^{*} en 'n priester vir ons kan wees. Wat is beter: om 'n priester vir die huis van een man te wees^g of om 'n priester vir 'n stam en 'n familie in Israel te wees?"^h **20** Die priester was toe tevrede, en hy het die efod, die terafim-beelde^{*} en die uitgekerfde beeldⁱ geneem en saam met die manne gegaan.

21 Toe het hulle verder gegaan, en hulle het die kinders met die vee en die waardevolle dinge vooruit laat gaan. **22** Toe hulle 'n ent weg van Miga se huis af was, het die manne wat naby Miga gewoon het, bymekaargekom en die manne van Dan ingehaal. **23** Hulle het vir die manne van Dan geskree, wat toe omgedraai het en vir Miga gevra het: "Wat is fout met jou? Hoekom het jy al hierdie mense bymekaar-gebring?" **24** Toe het hy gesê: "Julle het my gode gevat wat ek gemaak het, en julle het die priester ook saamgeneem. Wat het ek oor? Hoe kan julle dan vir

18:17, 18, 20 *Of "huisgode; afgode".
18:19 *Lett. "vader".

HFST. 18

a Rig 18:11

b Rig 18:2

c Eks 28:6
Rig 8:27

d Ge 31:19

e Le 19:4
De 27:15
Rig 17:3-5

f Rig 17:12

g Rig 17:12

h Rig 18:30

i Rig 17:4, 5

Tweede kol.

a Jos 19:47, 48
Rig 18:29

b Rig 18:7, 10

c Nu 13:17, 21

d Jos 19:47, 48
Rig 20:1
1Kn 4:25
1Kn 12:28, 29

e Ge 30:6
Ge 32:28

f Rig 18:7

g Rig 17:1, 4
Rig 18:18

h Rig 17:12

i Eks 2:21, 22

j Eks 40:2
Jos 18:1
1Sa 1:3

HFST. 19

k 1Sa 8:4, 5

l Jos 17:14, 15

m Ge 35:19
Mi 5:2

my vra: 'Wat is fout met jou?'"

25 Die manne van Dan het geantwoord: "Moenie hier op ons kom staan en skree nie, anders sal woedende manne jou dalk aanval, en dit sal jou lewe en die lewens van jou huisgesin kos." **26** Daarna het die manne van Dan verder gegaan, en omdat Miga gesien het dat hulle sterker as hy is, het hy omgedraai en na sy huis teruggekeer.

27 Nadat hulle die dinge wat Miga gemaak het sowel as sy priester geneem het, het hulle na Lajis^a gegaan, waar die mense 'n rustige en onbesorgde lewe gelei het.^b Hulle het hulle met die swaard doodgemaak en die stad verbrand. **28** Daar was niemand om hulle te red nie, want die stad was ver van Sidon af, en hulle het nie kontak met ander gehad nie. Die stad was in die valleivlakte wat aan Bet-Rehob^c behoort het. Toe het hulle die stad herbou en daarin gaan woon. **29** En hulle het die stad Dan^d genoem, na die naam van hulle vader, Dan, die seun van Israel.^e Maar die stad se naam was voorheen Lajis.^f **30** Daarna het die manne van Dan die uitgekerfde beeld^g vir hulle opgerig, en Jo'natan,^h die seun van Gersom,ⁱ die seun van Moses, en die nakomelinge van Jo'natan het priesters geword vir die stam van Dan tot die dag dat die inwoners van die land in ballingskap gegaan het. **31** En hulle het die uitgekerfde beeld wat Miga gemaak het, opgerig, en dit het daar gebly al die dae dat die huis van die ware God in Silo^j was.

19 In daardie dae, toe daar nie 'n koning in Israel was nie,^k was daar 'n Leviet wat in 'n afgeleë deel van die bergstreek van E'fraim^l gewoon het. Hy het 'n byvrou uit Betlehem^m in Juda

as sy vrou geneem. **2** Maar sy byvrou was ontrou aan hom, en sy het hom verlaat en na haar pa se huis in Betlehem in Juda gegaan. Sy het vier maande lank daar gebly. **3** Toe het haar man agter haar aan gegaan om haar te oorreed om terug te kom. Hy het sy dienaar en 'n paar donkies by hom gehad. Sy het hom in haar pa se huis laat inkom, en haar pa was bly om hom te sien. **4** Sy skoonpa, die jong vrou se pa, het hom toe oorreed om drie dae lank by hom te bly. Hulle het geëet en gedrink, en hy het daar oornag.

5 Op die vierde dag, toe hulle vroeg die oggend opstaan om te vertrek, het die jong vrou se pa vir sy skoonseun gesê: "Eet iets sodat julle krag kan hê* vir die reis." **6** Toe het hulle gaan sit, en hulle twee het saam geëet en gedrink. Daarna het die jong vrou se pa vir die man gesê: "Bly asseblief nog 'n nag en geniet dit hier."* **7** Toe die man opstaan om te gaan, het sy skoonpa hom heeltyd gesmeek om te bly, en daarom het hy weer daar oornag.

8 Toe hy die vyfde dag vroeg die oggend opstaan om te gaan, het die jong vrou se pa gesê: "Eet asseblief iets om julle krag te gee."* En hulle het tot laat in die dag bly draai, en hulle albei het bly eet. **9** Toe die man en sy byvrou en sy dienaar wou vertrek, het sy skoonpa, die jong vrou se pa, vir hom gesê: "Kyk! Dit is al amper aand. Oornag asseblief hier. Die dag is amper verby. Bly vanaand hier, en geniet dit hier. Móre kan julle vroeg vertrek en huis toe gaan." **10** Maar die man wou nie nog 'n nag bly nie, en daarom het

19:5, 8 *Of "om julle hart te versterk".
19:6 *Of "laat jou hart goed voel".

Tweede kol.

HFST. 19

a Jos 15:8, 63
Jos 18:28
Rig 1:8

b Jos 18:28

c Jos 18:21, 25

d Ge 19:2

e Rig 19:1

f Jos 18:21, 28

g Rig 19:1, 2

hy opgestaan en tot by Jebus, dit wil sê Jerusalem,^a gereis. Hy het die twee opgesaalde donkies, sy byvrou en sy dienaar by hom gehad.

11 Toe hulle naby Jebus kom, was dit al amper donker. Daarom het die dienaar vir sy meester gevra: "Moet ons na hierdie stad van die Jebusiete gaan en hier oornag?"

12 Maar sy meester het vir hom gesê: "Ons moenie na 'n stad van uitlanders gaan, waar die inwoners nie Israëliete is nie. Ons sal tot by Gi'bea^b gaan."

13 Toe het hy vir sy dienaar gesê: "Kom ons probeer om een van daardie plekke te bereik. Ons sal in Gi'bea of in Rama^c oornag." **14** Toe het hulle verder gereis, en die son het begin ondergaan toe hulle naby Gi'bea kom, wat aan Benjamin behoort.

15 Toe het hulle na Gi'bea gegaan om daar te oornag. Nadat hulle ingegaan het, het hulle op die stadsplein gaan sit, maar niemand het hulle genooi om in hulle huis te oornag nie.^d

16 Later daardie aand het 'n ou man van sy werk in die veld af teruggekom. Hy was van die bergstreek van E'fraim,^e en hy het al 'n ruk lank in Gi'bea gewoon, maar die inwoners van die stad was Benjaminiete.^f **17** Toe die ou man opkyk en die reisiger op die stadsplein sien, het hy gevra: "Waarheen gaan jy, en waar kom jy vandaan?" **18** Hy het geantwoord: "Ons reis van Betlehem in Juda na 'n afgeleë deel van die bergstreek van E'fraim, waar ek vandaan kom. Ek het na Betlehem in Juda gegaan,^g en ek gaan na* die huis van Jehovah, maar niemand nooi my in sy huis in nie.

19:18 *Of moontlik "dien by".

19 Ons het genoeg strooi en voer vir ons donkies^a en genoeg brood^b en wyn vir my, die vrou en ons dienaar. Ons het alles wat ons nodig het." 20 Die ou man het gesê: "Mag jy vrede hê! Ek sal vir jou gee wat julle ook al nodig het. Moet net nie op die stadsplein oornag nie." 21 Toe het hy hom in sy huis ingebring en vir die donkies voer* gegee. Hulle het toe hulle voete gewas en geëet en gedrink.

22 Terwyl hulle die tyd saam geniet het, het 'n spul slegte manne van die stad die huis omsingel en teen die deur gehamer, en hulle het vir die ou man, die eienaar van die huis, bly sê: "Bring die man uit wat in jou huis ingekom het, sodat ons met hom seks kan hê."^c 23 Toe het die eienaar van die huis uitgegaan en vir hulle gesê: "Nee, my broers, moet asseblief nie goddeloos optree nie. Hierdie man is 'n gas in my huis. Moenie hierdie skandelige ding doen nie. 24 Hier is my dogter, wat 'n maagd is, en die man se byvrou. Laat ek hulle uitbring, en dan kan julle hulle verneder as julle moet.*^d Maar julle moet nie hierdie skandelige ding aan hierdie man doen nie."

25 Maar die manne het geweier om na hom te luister, en daarom het die Leviet sy byvrou^e gegryp en haar na hulle toe uitgebring. Hulle het haar die hele nag lank tot die oggend toe bly verkrag en misbruik. Toe het hulle haar met dagbreek weggestuur. 26 Vroeg die oggend het die vrou gekom en neergeval by die ingang van die man se huis waar haar meester was, en sy het daar gelê totdat dit lig was. 27 Toe haar mees-

HFST. 19

a Ge 24:32

b Ge 18:5
Ge 19:3c Ge 19:4, 5
Le 20:13
Ro 1:27
1Kor 6:9, 10
Jud 7

d Ge 19:6-8

e Rig 19:2

Tweede kol.

a Rig 20:7

HFST. 20

b Jos 19:47, 48
Rig 18:29

c Jos 22:9

d 1Sa 7:5
1Sa 10:17
2Kn 25:23e Rig 20:17
2Sa 24:9

f Rig 19:22

g Rig 19:1, 2

h Rig 19:12, 14

ter die oggend opstaan en die deure van die huis oopmaak en uitgaan om verder te reis, het hy sy byvrou by die ingang van die huis sien lê met haar hande op die drumpel. 28 Toe het hy vir haar gesê: "Staan op, laat ons gaan." Maar daar was geen antwoord nie. Die man het haar toe op die donkie gelaai en vertrek om huis toe te gaan.

29 Nadat hy by die huis gekom het, het hy die slagmes geneem en sy byvrou in 12 stukke opgesny en 'n stuk na elke gebied van Israel gestuur. 30 Almal wat dit gesien het, het gesê: "So iets het nog nooit gebeur of is nog nooit gesien vanaf die dag dat die Israëliete uit Egipte gegaan het tot vandag toe nie. Dink hieroor,* bespreek dit,^a en sê dan vir ons wat ons moet doen."

20 Die hele gemeenskap van die Israëliete, van Dan^b tot Berse'ba sowel as die land Gi'lead,^c het dus soos een man voor Jehovah in Mispa^d bymeekargekom. 2 Toe het die hoofde van die volk en al die stamme van Israel hulle plek in die gemeente van God se volk ingeneem - 400 000 voetsoldate wat met swaarde gewapen was.^e

3 Die Benjaminsiete het gehoor dat die manne van Israel na Mispa gegaan het.

Toe het die manne van Israel gesê: "Sê vir ons, hoe het hierdie verskriklike ding gebeur?"^f 4 Toe het die Leviet,^g die vermoorde vrou se man, geantwoord: "Ek het saam met my byvrou na Gi'bea van Benjamin gegaan^h om daar te oornag. 5 En die inwoners* van Gi'bea het teen my opgestaan en die huis in die nag omsingel.

19:21 *Of "mengvoer". 19:24 *Of "en misbruik hulle en doen wat goed is in julle oë".

19:30 *Of "Rig julle hart hierop". 20:5 *Of moontlik "grondeienaars".

Hulle wou my doodmaak, maar hulle het toe eerder my byvrou verkrag, en sy het gesterf.^a **6** Daarom het ek my byvrou se liggaam geneem en dit opgesny en die stukke na elke gebied van Israel se erfdeel gestuur^b omdat hulle 'n skandelige ding in Israel gedoen het. **7** Nou moet julle almal, al die Israëliete wat hier bymekaar is, julle mening gee en 'n besluit neem.”^c

8 Toe het die hele volk soos een man opgestaan en gesê: “Nie een van ons sal na sy tent of na sy huis teruggaan nie. **9** Dit is wat ons met Gi'bea sal doen: Laat ons deur middel van die lot manne kies om die stad aan te val.”^d **10** Uit al die stamme van Israel sal ons 10 manne uit 100 manne neem, 100 uit 1 000 en 1 000 uit 10 000 om padkos vir die soldate te gaan kry, sodat hulle teen Gi'bea van Benjamin kan optree omdat hulle hierdie skandelige ding in Israel gedoen het.” **11** So het al die manne van Israel soos een man teen die stad bymekaargekom.

12 Toe het die stamme van Israel manne na al die stamlede van Benjamin gestuur om te sê: “Hoe kon so 'n verskriklike ding onder julle gebeur? **13** Lewer dan nou die slegte manne van Gi'bea aan ons oor,^e sodat ons hulle kan doodmaak en sodat ons dit wat sleg is, uit Israel kan verwyder.”^f Maar die Benjaminiete het geweier om na hulle Israëlitiese broers te luister.

14 Toe het die Benjaminiete uit hulle stede na Gi'bea gekom om teen die manne van Israel te veg. **15** Op daardie dag het die Benjaminiete 26 000 manne wat met swaarde gewapen was, uit hulle stede opgeroep, buiten die 700 bekwame vegters van Gi'bea. **16** In hierdie leërmag was daar 700 bekwame vegters wat links was. Elkeen van

HFST. 20
a Rig 19:25, 26

b Rig 19:29

c Rig 19:30

d Rig 20:18
Spr 16:33

e Rig 19:22, 25

f De 13:5
De 17:7
De 22:22
1Kor 5:6, 13

Tweede kol.

a Rig 20:2

b Eks 28:30
Nu 27:21
Rig 20:27

c Rig 20:28

d Rig 20:21

e Rig 20:23

hierdie manne kon 'n klip baie akkuraat* met 'n slingervel gooi en het nooit gemis nie.

17 Die manne van Israel, buiten Benjamin, het 400 000 manne opgeroep wat met swaarde gewapen was,^a en elkeen van hulle was 'n ervare vegter. **18** Hulle het opgestaan en na Bet-El gegaan om God se leiding te vra.^b Toe het die Israëliete gevra: “Wie van ons moet die leiding neem in die geveg teen die Benjaminiete?” Jehovah het geantwoord: “Juda moet die leiding neem.”

19 Daarna het die Israëliete in die oggend opgestaan en naby Gi'bea kamp opgeslaan.

20 Die manne van Israel het in gevegsformasie na Gi'bea gegaan om Benjamin aan te val. **21** Op daardie dag het die Benjaminiete uit Gi'bea uitgegaan en 22 000 manne van Israel doodgemaak. **22** Maar die leërmag van Israel het nie moed verloor nie en het weer in gevegsformasie na dieselfde plek gegaan waarheen hulle die eerste dag gegaan het. **23** Toe het die Israëliete opgegaan en tot die aand toe voor Jehovah gehuil en Jehovah se leiding gevra en gesê: “Moet ons weer teen ons broers, die Benjaminiete, gaan veg?”^c Jehovah het toe gesê: “Gaan veg teen hulle.”

24 Op die tweede dag het die Israëliete weer teen die Benjaminiete opgetrek. **25** Benjamin het ook op die tweede dag uit Gi'bea uitgegaan om teen Israel te veg, en hulle het nog 18 000 Israëliete wat met swaarde gewapen was, doodgemaak.^d **26** Toe het al die manne van Israel na Bet-El gegaan. Hulle het daar gesit en huil voor Jehovah,^e en op daardie dag het hulle tot die aand toe

20:16 * Lett. “tot op 'n haar”.

gevas^a en brandoffers^b en vrede-offers^c voor Jehovah geoffer. **27** Daarna het die manne van Israel Jehovah se leiding gevra,^d want in daardie dae was die ark van die verbond van die ware God daar. **28** In daardie dae het Pi'nehas,^e die seun van Elea'sar, die seun van Aäron, voor die Ark gedien.* Hulle het gevra: "Moet ons weer teen ons broers, die Benjamineite, gaan veg of moet ons ophou?"^f Jehovah het geantwoord: "Gaan veg, want môre sal ek hulle in julle hand gee." **29** Toe het Israel manne reg rondom Gi'bea laat wegkruip.^g

30 Die Israëliete het op die derde dag teen die Benjamineite gaan veg, en hulle het in gevegsformasie teen Gi'bea opgetrek, net soos die ander kere.^h **31** Toe die Benjamineite uitgaan om teen die leërmag te veg, is hulle van die stad af weg-gelok.ⁱ Toe het hulle, soos die ander kere, die manne op die grootpaaie begin aanval en party van hulle doodgemaak. Die een grootpad gaan na Bet-El en die ander na Gi'bea. Hulle het ongeveer 30 Israëliete in die oop veld doodgemaak.^j **32** Toe het die Benjamineite gesê: "Ons is besig om hulle te verslaan, soos voorheen."^k Maar die Israëliete het gesê: "Ons sal terug-trek en hulle van die stad af weglok tot op die grootpaaie." **33** Al die manne van Israel het toe uit hulle plekke opgestaan en in gevegsformasie na Baäl-Tamar gegaan terwyl die Israëlitiese manne wat weggekruip het, uit hulle wegkruipplekke gekom het en Gi'bea bestorm het. **34** So het 10 000 bekwame manne uit die hele Israel voor Gi'bea gekom, en die ge-

20:26 *Of "gemeenskapsoffers".
20:28 *Lett. "gestaan".

HFST. 20

a 2Kr 20:3
Esr 8:21

b Le 1:3

c Le 3:1

d Nu 27:21
Rig 20:18

e Eks 6:25
Nu 25:7

f Rig 20:23

g Jos 8:3, 4

h Rig 20:20, 22

i Rig 20:36

j Rig 20:39

k Rig 20:21, 25

Tweede kol.

a Rig 20:28, 48

b Rig 20:14, 15
Rig 20:46

c Rig 20:31

d Rig 20:29

e Rig 20:31

f Rig 20:21, 25

veg was intens. Maar die Benjamineite het nie geweet dat 'n ramp op hulle wag nie.

35 Jehovah het Benjamin voor Israel verslaan,^a en op daardie dag het die Israëliete 25 100 manne in Benjamin doodgemaak, wat almal met swaarde gewapen was.^b

36 Toe die manne van Israel teruggetrek het, het die Benjamineite gedink dat hulle die Israëliete amper verslaan het,^c maar die Israëliete het teruggetrek omdat hulle vertrou het op die manne wat hulle om Gi'bea laat wegkruip het.^d **37** Die manne wat weggekruip het, het vinnig opgetree en Gi'bea bestorm. Toe het die manne uitgesprei en al die inwoners van die stad met die swaard doodgemaak.

38 Die manne van Israel het gereël dat die manne wat om die stad weggekruip het, 'n rookseïn uit die stad moet laat opstyg.

39 Toe die Israëliete in die geveg omdraai, het die manne van Benjamin hulle aangeval en ongeveer 30 manne van Israel doodgemaak,^e en hulle het gesê: "Ons is beslis besig om hulle te verslaan, net soos in die vorige geveg."^f **40** Maar die seïn het as 'n rookkolom uit die stad begin opstyg. Toe die manne van Benjamin omkyk, het hulle gesien hoe die hele stad in vlamme opgaan. **41** Toe het die manne van Israel omgedraai, en die manne van Benjamin het paniekbevange geword, want hulle het besef dat rampspoed hulle getref het. **42** Daarom het hulle voor die manne van Israel gevlug in die rigting van die wildernis, maar hulle kon nie wegkom van die geveg nie. Die manne wat uit die stede gekom het, het saam met die manne van

Israel geveg. **43** Hulle het die Benjamineite omsingel en hulle agternagesit sonder om 'n oomblik te rus. Hulle het hulle oos van Gi'bea uitgewis. **44** Uiteindelik is 18 000 manne van Benjamin doodgemaak, almal magtige vegters.^a

45 Die manne van Benjamin het omgedraai en na die Rimmon-rots in die wildernis gevlug.^b Die Israeliëte het 5 000 van hulle op die grootpaaië doodgemaak, en hulle het hulle bly agternasit tot by Gidom. So het hulle nog 2 000 manne doodgemaak. **46** Op daardie dag is altesaam 25 000 Benjamineite doodgemaak. Hulle almal was magtige vegters wat met swaarde gewapen was.^c **47** Maar 600 manne het na die Rimmon-rots in die wildernis gevlug, en hulle het vier maande lank op die Rimmon-rots gebly.

48 En die manne van Israel het teruggegaan en die Benjamineite aangeval, en hulle het die inwoners van die stede, elke mens en dier wat oorgebly het, met die swaard doodgemaak. En hulle het al die stede aan die brand gesteeek.

21 Die manne van Israel het die volgende eed in Mispa^d gesweer: “Nie een van ons sal sy dogter aan 'n man van Benjamin as vrou gee nie.”^e **2** Toe het die volk na Bet-El gekom.^f Hulle het tot die aand toe daar voor die ware God gesit, en hulle het hard en bitterlik gehuil. **3** Hulle het gevra: “Hoekom, o Jehovah, die God van Israel, het dit in Israel gebeur? Hoekom moes Israel vandag een van sy stamme verloor?” **4** Die volgende dag het die volk vroeg opgestaan en 'n altaar daar gebou om brandoffers en vredeoffers^g te offer.

21:4 *Of “gemeenskapsoffers”.

HFST. 20

a Rig 20:15

b Rig 21:13

c Rig 20:15, 35

HFST. 21

d Rig 20:1

e Rig 21:18

f Rig 20:18, 26

g Le 3:1

Tweede kol.

a Le 5:4

Le 19:12

Mt 5:33

b Rig 21:1, 18

c Rig 20:1

d Rig 21:5

e Jos 18:1

5 Toe het die Israeliëte gevra: “Wie uit al die stamme van Israel het nie voor Jehovah bymekaargekom nie?” Hulle het dit gevra omdat hulle 'n eed gesweer het dat enigiemand wat nie voor Jehovah in Mispa bymekaarkom nie, vir seker doodgemaak moet word. **6** En die Israeliëte het getreur oor wat met hulle broer Benjamin gebeur het. Hulle het gesê: “Vandag is een stam van Israel afgekap. **7** Wat kan ons doen om vrouens te vind vir die manne wat oorbly, noudat ons by Jehovah gesweer het^a dat ons nie ons dogters as vrouens aan hulle sal gee nie?”^b

8 Hulle het gevra: “Wie uit die stamme van Israel het nie voor Jehovah in Mispa bymekaargekom nie?”^c Hulle het toe uitgevind dat niemand uit Ja'bes-Gi'lead na die kamp gekom het waar die gemeente was nie. **9** Toe die volk getel is, het hulle gesien dat nie een van die inwoners van Ja'bes-Gi'lead daar was nie. **10** Die gemeenskap het dus 12 000 van die dapperste manne soontoe gestuur. Hulle het hulle die volgende bevel gegee: “Gaan maak die inwoners van Ja'bes-Gi'lead met die swaard dood, selfs die vrouens en die kinders.^d **11** Dit is wat julle moet doen: Julle moet elke man doodmaak, sowel as elke vrou wat al seksuele omgang met 'n man gehad het.” **12** Onder die inwoners van Ja'bes-Gi'lead het hulle 400 meisies gevind wat nog maagde was, wat nog nooit seksuele omgang met 'n man gehad het nie. Toe het hulle hulle gebring na die kamp in Silo,^e in die land Kanaän.

13 Daarna het die hele gemeenskap 'n boodskap aan die Benjamineite op die Rimmon-

rots gestuur^a om te sê dat hulle vrede met hulle wil maak.

14 Die Benjaminiete het toe teruggegaan na hulle land toe. Die Israeliete het vir hulle die vrouens van Ja'bes-Gi'lead gegee,^b wie se lewens hulle gespaar het, maar daar was nie genoeg vrouens vir al die Benjaminiete nie.

15 Die volk het getreur oor wat met Benjamin gebeur het^c omdat Jehovah 'n skeiding onder die stamme van Israel veroorsaak het. **16** Die ouermanne van die gemeenskap het gevra: "Wat kan ons doen om vrouens te vind vir die manne wat oorbly? Want al die vrouens van Benjamin is doodgemaak."

17 Hulle het gesê: "Die manne van Benjamin wat oorleef het, moet 'n erfdeel kry, sodat 'n stam nie uit Israel uitgewis word nie. **18** Maar ons mag nie ons dogters aan hulle as vrouens gee nie, want die Israeliete het gesweer en gesê: 'Vervloek is die een wat aan Benjamin 'n vrou gee.'"^d

19 Toe het hulle gesê: "Daar is elke jaar 'n fees vir Jehovah in Silo,^e wat noord van Bet-El is en oos van die grootpad tussen Bet-El en Sigem en suid van Lebo'na." **20** Hulle het dus vir die manne van Benjamin die volgende bevel ge-

HFST. 21

a Rig 20:46, 47

b Rig 21:8, 12

c Rig 21:6

d Le 19:12
Rig 21:1

e Jos 18:1

Tweede kol.

a Rig 21:12, 14

b Rig 21:1, 18

c Rig 20:48

d Rig 17:6
1Sa 8:4, 5

gee: "Gaan kruip weg in die wingerde. **21** En wanneer julle die jong vroue* van Silo sien uitkom om hulle sirkeldanse te doen, moet elkeen van julle uit die wingerde uitkom en vir hom 'n jong vrou van Silo gryp om sy vrou te word, en julle moet na die land van Benjamin teruggaan. **22** En as hulle pa's of broers kom kla, sal ons vir hulle sê: 'Betoon goedheid aan ons ter wille van hulle, want ons kon nie genoeg vrouens vir hulle kry in die oorlog nie,^a en julle kon nie vir hulle vrouens gee sonder om skuldig te word nie.'"^b

23 Toe het die manne van Benjamin net so gedoen, en elkeen van hulle het vir hulle 'n vrou geneem uit die vrouens wat gedans het. Daarna het hulle na hulle erfdeel teruggegaan en hulle stede herbou^c en daarin gaan woon.

24 Toe het die Israeliete uitmekaargegaan, elkeen na sy eie stam en na sy eie familie. Elkeen het na sy eie erfdeel teruggegaan.

25 In daardie dae was daar nie 'n koning in Israel nie.^d Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.*

21:21 *Lett. "die dogters". **21:25** *Of "wat hy gedink het reg is".

RUT

OORSIG

1 Elimeleg en sy gesin trek na Moab (1, 2)
Naomi, Orpa en Rut se mans sterf (3-6)
Rut lojaal aan Naomi en haar God (7-17)
Rut saam met Naomi na Betlehem (18-22)

2 Rut tel graanare in Boas se landery op (1-3)
Rut en Boas ontmoet (4-16)
Rut vertel Naomi van Boas se goedheid (17-23)

3 Naomi gee Rut instruksies (1-4)
Rut en Boas by dorsvloer (5-15)
Rut gaan terug na
Naomi (16-18)

4 Boas tree as terugkoper op (1-12)
Obed vir Boas en Rut gebore (13-17)
Geslagsregister van
Dawid (18-22)

1 In die tyd van die rigters^a het 'n hongersnood in die land ontstaan. 'n Man van Betlehem^b in Juda het saam met sy vrou en sy twee seuns weggetrek en as 'n uitlander in die gebied van Moab^c gaan woon. **2** Die man se naam was Elimeleg,^{*} sy vrou se naam was Nao'mi[#] en die name van sy twee seuns was Maglon[^] en Giljon.[®] Hulle was Efratiete van Betlehem in Juda, en hulle het in die gebied van Moab gekom en daar gewoon.

3 Ná verloop van tyd het Elimeleg, Nao'mi se man, gesterf en haar met haar twee seuns agtergelaat. **4** Later het die manne met Moabitiese vrouens getrou. Die naam van die een was Orpa en die naam van die ander was Rut.^d Hulle het sowat tien jaar daar gebly. **5** Toe het die twee seuns, Maglon en Giljon, ook gesterf, en Nao'mi het alleen agtergebly, sonder haar twee kinders en haar man. **6** Sy het toe saam met haar skoondogters uit die gebied van Moab vertrek om terug te gaan na Juda, want sy het in Moab gehoor dat Jehovah weer aan sy volk aandag geskenk het deur vir hulle kos* te gee.

1:1 *Of "toe die rigters reggespreek het". 1:2 *Beteken "my God is Koning". #Beteken "my aangenaamheid". ^Moontlik van 'n Hebreeuse woord wat "swak word; siek word" beteken. ®Beteken "iemand wat verswak; iemand wat aan sy einde kom". 1:6 *Lett. "brood".

HFST. 1

a Rig 2:16

b Mi 5:2

c Ge 19:36, 37
De 2:9
Rig 3:30

d Mt 1:5

Tweede kol.

a Eks 34:6
Rut 2:20

b Rut 3:1

c De 25:5, 6

d Rut 1:20

7 Sy het weggetrek van die plek waar sy saam met haar twee skoondogters gewoon het. Op pad terug na die land van Juda **8** het Nao'mi vir haar twee skoondogters gesê: "Gaan, keer terug, elkeen na die huis van haar ma. Mag Jehovah lojale liefde aan julle betoon,^a net soos julle dit betoon het aan die manne wat gesterf het en aan my. **9** Mag Jehovah elkeen van julle veiligheid* laat vind[#] in die huis van haar man."^b Toe het sy hulle gesoen, en hulle het in trane uitgebars. **10** Hulle het vir haar bly sê: "Nee, ons sal saam met Ma na Ma se volk gaan." **11** Maar Nao'mi het gesê: "Gaan terug, my dogters. Hoekom sou julle saam met my kom? Kan ek nog geboorte gee aan seuns met wie julle kan trou?"^c **12** Gaan terug, my dogters. Gaan, want ek is te oud om te trou. Selfs al kon ek vanaand met 'n man trou en seuns hê, **13** sou julle vir hulle bly wag totdat hulle groot is? Sou julle ongetroud bly vir hulle? Nee, my dogters, ek voel bitter jammer vir julle omdat die hand van Jehovah teen my gedraai het."^d

14 Hulle het weer in trane uitgebars, en daarna het Orpa haar skoonma gesoen en vertrek. Maar Rut het by haar gebly. **15** Toe het Nao'mi gesê: "Kyk! Jou skoonsuster het na haar volk en na haar gode te-

1:9 *Lett. "n rusplek". #Of "as 'n geskenk gee".

ruggegaan. Gaan saam met jou skoonsuster terug.”

16 Maar Rut het gesê: “Moet my nie sreek om Ma te verlaat en sonder Ma terug te gaan nie, want waar Ma gaan, sal ek gaan, en waar Ma oornag, sal ek oornag. Ma se volk sal my volk wees, en Ma se God sal my God wees.^a **17** Waar Ma sterf, sal ek sterf, en daar sal ek begrawe word. Mag Jehovah my swaar straf* as enigiets anders as die dood my van Ma sou skei.”

18 Toe Nao'mi sien dat Rut vasbeslote is om saam met haar te gaan, het sy opgehou om haar te probeer ompraat. **19** En hulle twee het verder gegaan totdat hulle in Betlehem gekom het.^b Toe hulle in Betlehem kom, was die hele stad in rep en roer as gevolg van hulle, en van die vrouens het gevra: “Is dit Nao'mi?” **20** Sy het elke keer vir die vrouens gesê: “Moenie my Nao'mi* noem nie. Noem my Mara,[#] want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.^c **21** Ek het baie gehad toe ek gegaan het, maar Jehovah het my met leë hande laat terugkeer. Hoekom noem julle my Nao'mi as Jehovah teen my gedraai het en die Almagtige rampspoed oor my gebring het?”^d

22 So het Nao'mi saam met haar Moabitiese skoondogter Rut uit die gebied van Moab^e teruggekeer. Hulle het aan die begin van die gars-oes^f in Betlehem aangekom.

2 Nao'mi het 'n baie ryk familielid aan haar man se kant gehad. Sy naam was Boas,^g en hy was familie van Elime'leg.

2 Rut, die Moabitiese vrou, het vir Nao'mi gesê: “Laat my

1:17 *Lett. “so aan my doen en daarby voeg”. 1:20 *Beteke “my aange-naamheid”. #Beteke “bitter”.

HFST. 1

a Rut 2:11, 12

b Rut 1:1, 2

c Rut 1:13

d Rut 1:3, 5

e Nu 21:13
Rut 1:1

f Rut 2:23

HFST. 2

g Rut 2:20
Rut 4:21, 22
Mt 1:5
Lu 3:23, 32

Tweede kol.

a Le 23:22
De 24:19

b Rut 2:20

c Rut 1:2

d Rut 1:3, 4

e Rut 1:16, 22

f Le 23:22
De 24:19

g Rut 2:22

asseblief na die landerye gaan en graanare optel^a agter enigiemand wat my sal toelaat om dit te doen.” Nao'mi het vir haar gesê: “Gaan, my dogter.” **3** Toe het sy gegaan en op die landerye are begin optel agter die snyers aan. Sy het toevallig by 'n stuk grond uitgekom wat behoort het aan Boas,^b Elime'leg^c se familielid. **4** Op daardie oomblik het Boas daar aangekom van Betlehem af en vir die snyers gesê: “Mag Jehovah met julle wees.” Hulle het geantwoord: “Mag Jehovah u seën.”

5 Boas het toe vir die jong man wat oor die snyers aangestel was, gevra: “Aan wie behoort hierdie jong vrou?”

6 Die jong man het geantwoord: “Die jong vrou is 'n Moabiet^d wat saam met Nao'mi uit die gebied van Moab teruggekeer het.^e **7** Sy het gevra: ‘Mag ek asseblief van die afgesnyde graanare* optel^f wat die snyers agtergelaat het?’ En sy was van vaangend af nog die hele tyd op haar voete. Sy het nou eers vir 'n klein rukkie onder die skuiling gaan sit en rus.”

8 Toe het Boas vir Rut gesê: “Luister, my dogter. Moenie op 'n ander landery gaan graanare optel nie, en moet nêrens anders gaan nie. Bly naby my diensmeisies.^g **9** Kyk waar hulle op die landery oes en volg hulle. Ek het die jong manne beveel om nie aan jou te raak nie.* Wanneer jy dors is, moet jy na die waterhouders gaan en van die water drink wat die jong manne gaan haal het.”

10 Toe het sy met haar gesig na die grond toe neergebuig en vir hom gevra: “Hoekom is u so goed vir my, en hoekom skenk u aandag aan my, al is ek 'n

2:7 *Of moontlik “die graanbondels”.
2:9 *Of “jou nie lastig te val nie”.

uitlander?"^a **11** Boas het haar geantwoord: "Die mense het my alles vertel wat jy ná die dood van jou man vir jou skoonma gedoen het en hoe jy jou pa en jou ma en jou geboorteland verlaat het om na 'n volk te gaan wat jy nie voorheen geken het nie.^b **12** Mag Jehovah jou beloon vir wat jy gedoen het,^c en mag daar vir jou 'n volmaakte beloning* wees van Jehovah, die God van Israel, onder wie se vlerke jy beskerming kom soek het."^d **13** Toe het sy gesê: "U was baie goed vir my, my heer, want u het my vertroue en gerusstellend met* u slavin gepraat, al is ek nie eers een van u diensmeisies nie."

14 Teen etenstyd het Boas vir haar gesê: "Kom eet van die brood en doop 'n stukkie in die asyn." Toe het sy langs die snyers gaan sit. Daarna het hy vir haar geroosterde graan gegee. Sy het geëet totdat sy genoeg gehad het, en sy het nog daarvan oorgehad. **15** Toe sy opstaan om weer graanare op te tel,^e het Boas sy jong manne beveel: "Laat haar are optel selfs tussen die afgesnyde graan,* en moet haar nie lastig val nie.^f **16** Trek ook van die are uit die bondels uit en laat dit daar lê sodat sy dit kan optel, en moet niks sê om haar te keer nie."

17 Sy het tot die aand toe are op die landery bly optel.^g Toe sy dit uitslaan, was daar ongeveer 'n efa* gars. **18** Daarna het sy dit geneem en in die stad ingegaan, en haar skoonma het gesien wat sy opgetel het. Rut het ook die kos uitgehaal wat sy ná die ete oorgehad het,^h en sy het dit vir haar gegee.

2:12 *Lett. "volle loon". 2:13 *Lett. "tot die hart van". 2:15 *Of moontlik "die graanbondels". 2:17 *Omtrent 22 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 2

a Eks 23:9
Le 19:34

b Rut 1:14, 16

c Rut 4:11, 17
Mt 1:5, 16d Ps 17:8
Ps 36:7
Ps 57:1
Ps 63:7e Le 19:9
Rut 2:2

f Rut 2:9

g Rut 2:7

h Rut 2:14

Tweede kol.

a Ps 41:1

b Eks 34:6
Rut 1:8
Ps 36:7

c Rut 2:1

d Le 25:25
De 25:5, 6
Rut 3:9, 12

e Rut 2:8

f Rut 1:22

g Rut 1:16

HFST. 3

h Rut 1:9

i Rut 2:1, 20

19 Haar skoonma het toe vir haar gesê: "Waar het jy vandag are opgetel? Waar het jy gewerk? Mag die een wat aandag aan jou geskenk het, geseën word."^a Toe het sy vir haar skoonma vertel by wie sy gewerk het en gesê: "Die naam van die man by wie ek vandag gewerk het, is Boas." **20** Nao'mi het toe vir haar skoondogter gesê: "Mag hy geseën word deur Jehovah, wat nie opgehou het om lojale liefde aan die lewendes en die dooies te betoon nie."^b Nao'mi het verder gesê: "Die man is een van ons familieledede.^c Hy is een van ons terugkopers."^d **21** Toe het Rut, die Moabitiese vrou, gesê: "Hy het ook vir my gesê: 'Bly naby my jongmense totdat hulle my hele oes ingesamel het.'^e **22** Nao'mi het vir haar skoondogter Rut gesê: "Dit is beter, my dogter, om uit te gaan saam met sy diensmeisies as om op 'n ander landery lastig geval te word."

23 En sy het naby Boas se diensmeisies gebly en are opgetel totdat die gars-oes^f en die koringoes tot 'n einde gekom het. En sy het by haar skoonma bly woon.^g

3 Nao'mi, haar skoonma, het toe vir haar gesê: "My dogter, moet ek nie vir jou 'n tuis-te* soek^h sodat dit met jou goed kan gaan nie? **2** Boas is mos familie van ons.ⁱ Dit is sy diensmeisies by wie jy was. Hy gaan vanaand op die dorsvloer werk om die gars van die kaf te skei. **3** Gaan was jou en smeer lekkerruik-olie aan. Trek jou dan mooi aan* en gaan af na die dorsvloer. Moenie dat hy agterkom dat jy daar is totdat hy

2:20 *Of "een van ons familieledede met die reg om terug te koop". 3:1 *Lett. "rusplek". 3:3 *Of "Trek jou bo-klere aan".

klaar geëet en gedrink het nie. **4** Wanneer hy gaan slaap, moet jy kyk waar hy gaan lê. Gaan dan en maak sy voete oop en gaan lê. Hy sal vir jou sê wat jy moet doen.”

5 Toe het sy geantwoord: “Ek sal alles doen wat Ma vir my sê.”

6 En sy het na die dorsvloer afgegaan en alles gedoen wat haar skoonma vir haar gesê het.

7 Intussen het Boas geëet en gedrink, en sy hart was vrolik. Toe het hy langs die graanhoop gaan lê. Daarna het sy stilletjies gekom en sy voete oopgemaak en gaan lê.

8 Teen middernag het die man begin bewe, en hy het regop gesit en 'n vrou by sy voete sien lê. **9** Hy het gevra: “Wie is jy?” Sy het geantwoord: “Ek is Rut, u slavin. Neem u slavin onder u beskerming,* want u is 'n terugkoper.”^a

10 Hy het gesê: “Mag Jehovah jou seën, my dogter. Jy het nog groter lojale liefde in hierdie laaste geval getoon as in die eerste geval,^b omdat jy nie agter die jong manne, arm of ryk, aangeloop het nie. **11** En nou, my dogter, moenie bang wees nie. Alles wat jy sê, sal ek vir jou doen,^c want almal in die stad* weet dat jy 'n uitsonderlike vrou is. **12** Ek is nou wel 'n terugkoper,^d maar daar is 'n terugkoper wat nader familie is as ek.^e

13 Bly vanaand hier, en as hy jou môreoggend terugkoop, goed dan! Laat hy jou terugkoop.^f Maar as hy nie wil nie, sal ek jou terugkoop, so waar as wat Jehovah lewe. Lê hier tot die oggend.”

14 Sy het tot die oggend by sy voete gelê en toe opgestaan voordat dit lig genoeg was om enigiemand te herken. Hy het toe gesê: “Moenie laat enig-

HFST. 3

a Le 25:25
De 25:5, 6
Rut 2:20

b Rut 1:14, 16

c Rut 3:9

d Le 25:25
Rut 2:20

e Rut 4:1

f Rut 4:5

Tweede kol.

HFST. 4

a De 25:7
Spr 31:23

b Rut 3:12

c De 16:18

d Le 25:25
De 25:5, 6
Rut 2:20
Rut 3:9, 12

e Rut 1:1, 6

f Rut 1:2

g Ge 23:18
Jer 32:9, 10

iemand uitvind dat 'n vrou na die dorsvloer gekom het nie.”

15 Hy het ook gesê: “Bring die mantel wat om jou skouers is en hou dit oop.” Toe het sy dit oopgehou, en hy het ses mate* gars daarin gegooi en dit vir haar gegee. Daarna het hy in die stad ingegaan.

16 Sy het toe na haar skoonma gegaan, wat gevra het: “Hoe het dit gegaan,* my dogter?” Sy het haar alles vertel wat die man vir haar gedoen het.

17 Sy het bygevoeg: “Hy het vir my hierdie ses mate gars gegee en gesê: ‘Moenie met leë hande na jou skoonma gaan nie.’”

18 Toe het sy gesê: “Wag hier, my dogter, totdat jy uitvind wat die uiteinde van die saak sal wees, want die man sal nie rus totdat hy die saak vandag afgehandel het nie.”

4 Boas het toe na die stads-poort^a gegaan en daar gaan sit. Toe het die terugkoper waarvan Boas gepraat het,^b daar verbygekom. Boas het gesê: “Kom hier en sit asseblief, So-en-so.” En hy het na hom toe gegaan en gaan sit. **2** Daarna het Boas tien ouermanne van die stad^c geroep en gesê: “Kom sit hier.” Toe het hulle gaan sit.

3 Boas het toe vir die terugkoper^d gesê: “Nao'mi, wat uit die gebied van Moab^e teruggekeer het, moet die stuk grond verkoop wat aan ons familielid Elime'leg^f behoort het. **4** Ek het gedink dat ek jou daarvan moet vertel en vir jou moet sê: ‘Koop dit voor die inwoners en die ouermanne van my volk.^g As jy dit wil terugkoop, koop dit dan terug. Maar as jy dit nie wil terugkoop nie, sê dan vir my, want jy

3:15 *Moontlik ses sea, of omtrent 44 l. Sien Aanh. B14. **3:16** *Lett. “Wie is jy”.

3:9 *Of “Sprei u kleed uit oor u slavin”. **3:11** *Lett. “die hele poort van my volk”.

het die reg om dit terug te koop, en ek is ná jou.” Hy het geantwoord: “Ek is bereid om dit terug te koop.”^a **5** Toe het Boas gesê: “Die dag wanneer jy die grond by Nao’mi koop, moet jy dit ook koop by Rut, die Moabitiese vrou, die vrou van die oorlede man, sodat die naam van die oorlede man oor sy erfdeel herstel kan word.”^b **6** Die terugkoper het toe gesê: “Ek kan dit nie terugkoop nie, want ek sal dalk my eie erfdeel bena-deel. Koop dit vir jou terug met my terugkoopreg, want ek kan dit nie terugkoop nie.”

7 In vroeër tye in Israel was daar ’n gebruik om alle ooreenkomste in verband met die terugkoopreg en die oordrag daarvan te bevestig: ’n Man moes sy sandaal uittrek^c en dit vir die ander party gee. Dit is hoe ’n ooreenkoms in Israel bevestig is.* **8** Toe die terugkoper dus vir Boas sê: “Koop dit vir jou,” het hy sy sandaal uitgetrek. **9** Boas het toe vir die ouermanne en al die mense gesê: “Julle is vandag getuies^d dat ek alles wat aan Elime’leg behoort het en alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, by Nao’mi koop. **10** Ek neem ook Rut, die Moabitiese vrou, die vrou van Maglon, as my vrou om die naam van die oorlede man oor sy erfdeel te herstel^e sodat die naam van die oorlede man nie onder sy broers en uit die stadspoort van sy tuiste sal verdwyn nie. Julle is vandag getuies.”^f

11 Toe het al die mense in die stadspoort en die ouermanne gesê: “Ons is getuies! Mag Jehovah die vrou wat in jou huis inkom, soos Ragel en Lea maak, die twee vrouens wat die huis

4:7 * Of “Dit was die bekragtiging in Israel”.

HFST. 4

a Rut 3:13

b Ge 38:7, 8
De 25:5, 6

c De 25:7, 9

d Ge 23:18
Rut 4:4
Jer 32:12

e Ge 38:7, 8
De 25:5, 6

f Rut 4:4

Tweede kol.

a Ge 28:3
Ge 35:23-26
Ge 46:15, 18
Ge 46:22, 25

b Ge 35:19

c Rut 1:1
Mi 5:2

d Ge 38:29
Nu 26:20
Mt 1:3

e Ps 127:3

f Rut 1:14, 16

g Mt 1:5
Lu 3:23, 32

h 1Sa 17:12
Jes 11:1
Ro 15:12

i Rut 4:12
Mt 1:2-6

j Ge 46:12
Nu 26:21
1Kr 2:5

k 1Kr 2:9-15

l Eks 6:23

m Rut 4:17
1Sa 16:1

n 2Sa 7:8
1Kr 2:13, 15

van Israel gebou het.^a Mag jy voorspoedig wees in E’frata^b en ’n goeie naam maak* in Betlehem.^c **12** Mag jou huis word soos die huis van Peres,^d die seun van Tamar en Juda, deur die nageslag wat Jehovah jou deur hierdie jong vrou sal gee.”^e

13 Boas het Rut dus as sy vrou geneem. Hy het seksuele omgang met haar gehad, en Jehovah het haar swanger laat word, en sy het aan ’n seun geboorte gegee. **14** Toe het die vrouens vir Nao’mi gesê: “Mag Jehovah geloof word, wat jou vandag nie sonder ’n terugkoper gelaat het nie. Mag die naam van hierdie kind in Israel verkondig word! **15** Hy het jou nuwe lewe gegee en sal op jou oudag vir jou sorg, want hy is die seun van jou skoonogter, wat jou liefhet^f en wat vir jou beter is as sewe seuns.” **16** Nao’mi het die kind geneem en hom teen haar bors gehou, en sy het hom versorg.* **17** Toe het die buurvrou hom ’n naam gegee. Hulle het gesê: “’n Seun is vir Nao’mi gebore,” en hulle het hom Obed^g geneem. Hy is die vader van Isai,^h Dawid se vader.

18 Hier volg die geslagslyn* van Peres:ⁱ Peres het die vader geword van Hesron.^j **19** Hesron het die vader geword van Ram. Ram het die vader geword van Ammina’dab.^k **20** Ammina’dab^l het die vader geword van Nagson. Nagson het die vader geword van Salmon. **21** Salmon het die vader geword van Boas. Boas het die vader geword van Obed. **22** Obed het die vader geword van Isai,^m en Isai het die vader geword van Dawid.ⁿ

4:11 *Lett. “’n naam uitroep”. **4:16** *Of “sy versorger geword”. **4:18** *Lett. “Dit is die geslagte”.

DIE EERSTE BOEK VAN
SAMUEL

O O R S I G

- 1 Elkana en sy vrouens (1-8)
Kinderlose Hanna bid vir seun (9-18)
Samuel gebore en aan Jehovah gegee (19-28)
- 2 Hanna se gebed (1-11)
Sondes van Eli se twee seuns (12-26)
Jehovah oordeel huis van Eli (27-36)
- 3 Samuel geroep om profeet te wees (1-21)
- 4 Filistyne neem Ark (1-11)
Eli en sy seuns sterf (12-22)
Filistyne gestraf (6-12)
- 6 Filistyne stuur Ark terug na Israel (1-21)
- 7 Ark in Kirjat-Jearim (1)
Samuel se aansporing: 'Dien Jehovah alleen' (2-6)
Israel se oorwinning by Mispa (7-14)
Samuel dien as rigter oor Israel (15-17)
- 8 Israel dring aan op koning (1-9)
Samuel waarsku volk (10-18)
Jehovah gee hulle 'n koning, soos hulle gevra het (19-22)
- 9 Samuel ontmoet Saul (1-27)
- 10 Saul as koning gesalf (1-16)
Saul aan volk voorgestel (17-27)
- 11 Saul verslaan Ammoniete (1-11)
Saul se koningskap weer bevestig (12-15)
- 12 Samuel se afskeidstoepspraak (1-25)
'Moenie leë dinge volg nie' (21)
Jehovah sal sy volk nie verlaat nie (22)
- 13 Saul kies manne vir leërmag (1-4)
Saul tree vermetel op (5-9)
Samuel wys Saul tereg (10-14)
Israel het nie wapens nie (15-23)
- 14 Jonatan se oorwinning by Migmas (1-14)
- God verslaan Israel se vyande (15-23)
Saul se oorhaastige eed (24-46)
Manne eet vleis met bloed en al (32-34)
Saul se oorloë; sy familie (47-52)
- 15 Saul is ongehoorsaam en spaar Agag se lewe (1-9)
Samuel wys Saul tereg (10-23)
"Om gehoorsaam te wees, is beter as 'n offerande" (22)
Saul as koning verwerp (24-29)
Samuel maak Agag dood (30-35)
- 16 Samuel salf Dawid as volgende koning (1-13)
"Jehovah sien wat in die hart is" (7)
God neem sy gees van Saul af weg (14-17)
Dawid word Saul se harpspeler (18-23)
- 17 Dawid verslaan Goliat (1-58)
Goliat daag Israel uit (8-10)
Dawid aanvaar uitdaging (32-37)
Dawid veg in Jehovah se naam (45-47)
- 18 Dawid en Jonatan se vriendskap (1-4)
Dawid se oorwinnings maak Saul jaloers (5-9)
Saul probeer Dawid doodmaak (10-19)
Dawid trou met Saul se dogter Migal (20-30)
- 19 Saul haat Dawid nog steeds (1-13)
Dawid vlug vir Saul (14-24)
- 20 Jonatan se lojaliteit aan Dawid (1-42)
- 21 Dawid eet offerbrood in Nob (1-9)
Dawid maak asof hy mal is (10-15)
- 22 Dawid in Adullam en Mispé (1-5)
Saul laat priesters van Nob doodmaak (6-19)
Abjatar ontsnap (20-23)
- 23 Dawid red stad Kehila (1-12)
Saul sit Dawid agterna (13-15)

- Jonatan versterk Dawid (16-18)
Dawid ontsnap net-net van Saul (19-29)
- 24 Dawid spaar Saul se lewe (1-22)
Dawid respekteer Jehovah se gesalfde (6)
- 25 Samuel sterf (1)
Nabal beledig Dawid se manne (2-13)
Abigail tree verstandig op (14-35)
"Sak van die lewe by Jehovah" (29)
Jehovah maak verstandelose Nabal dood (36-38)
Abigail word Dawid se vrou (39-44)
- 26 Dawid spaar Saul se lewe weer (1-25)
Dawid respekteer Jehovah se gesalfde (11)
- 27 Filistyne gee Siklag aan Dawid (1-12)
- 28 Saul raadpleeg vrou in En-Dor wat geeste oproep (1-25)
- 29 Filistyne vertrou Dawid nie (1-11)
- 30 Amalekiete stroop en verbrand Siklag (1-6)
Dawid deur God versterk (6)
Dawid verslaan Amalekiete (7-31)
Dawid kry gevangenes terug (18, 19)
Dawid se wetsvoorskrif oor hoe buit verdeel moet word (23, 24)
- 31 Saul en drie van sy seuns sterf (1-13)

1 Daar was 'n sekere man van Ramata'im-So'fim*^a van die bergstreek van E'fraim^b wie se naam Elka'na^c was, die seun van Jero'ham, die seun van Eli'hu, die seun van Tohu, die seun van Suf, 'n Efraimiet. **2** Hy het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna, en die ander een se naam was Penin'na. Penin'na het kinders gehad, maar Hanna het geen kinders gehad nie. **3** Hierdie man het elke jaar van sy stad na Silo^d gegaan om Jehovah van die leërmagte te aanbid en offerandes aan hom te bring. Dit is waar die twee seuns van Eli, Hofni en P'nehas,^e as priesters vir Jehovah gedien het.^f

4 Eendag, toe Elka'na 'n offerande gebring het, het hy dele van die offerande aan sy vrou Penin'na en aan al haar seuns en dogters gegee.^g **5** Hy het egter 'n spesiale deel aan Hanna gegee, want hy het Hanna meer liefgehad, maar Jehovah het nie vir haar kinders gegee

HFST. 1

a 1Sa 1:19
1Sa 7:15, 17

b Jos 16:5

c 1Kr 6:22, 27

d Eks 23:14
Eks 34:23
De 12:5, 6
Jos 18:1
Rig 21:19
Lu 2:41

e 1Sa 2:12, 22
1Sa 4:17

f Nu 3:10
De 33:10
Mal 2:7

g Le 7:15

Tweede kol.

a De 16:16
1Sa 2:18, 19

b Eks 25:8
1Sa 3:3
2Sa 7:2

c Ps 55:22
Ps 65:2

nie.* **6** Wat meer is, Penin'na* het haar heelyd uitgetart om haar te ontstel omdat Jehovah nie vir haar kinders gegee het nie. **7** Sy het dit jaar ná jaar gedoen. Elke keer wanneer Hanna na die huis van Jehovah gegaan het,^a het Penin'na haar so uitgetart dat sy gehuil het en nie geëet het nie. **8** Maar haar man, Elka'na, het vir haar gesê: "Hanna, hoekom huil jy, en hoekom eet jy nie, en hoekom is jy so hartseer? Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?"

9 Toe hulle klaar geëet en gedrink het in Silo, het Hanna opgestaan. Eli, die priester, het op die stoel by die ingang van die tempel*^b van Jehovah gesit. **10** Hanna was bitter hartseer, en sy het tot Jehovah begin bid^c en kon nie ophou huil nie. **11** Sy het toe die volgende gelofte gemaak: "O Jehovah van die leërmagte, kyk hoe swaar kry u diensmeisie. As u aan my

1:5 *Lett. "haar baarmoeder gesluit".
1:6 *Of "die ander vrou". 1:9 *D.w.s. die tabernakel.

1:1 *Of "van Rama, 'n Sufiet".

dink en my nie vergeet nie en vir u diensmeisie 'n seun gee,^a sal ek hom vir Jehovah gee, sodat hy aan u kan behoort solank as wat hy lewe, en geen skeermes sal naby sy kop kom nie.”^b

12 Terwyl sy lank tot Jehovah gebid het, het Eli haar mond dopgehou. **13** Hanna het in haar hart gepraat. Haar lippe het gebewe, maar haar stem kon nie gehoor word nie. Daarom het Eli gedink dat sy dronk is. **14** Eli het vir haar gesê: “Hoekom kom jy dronk hier aan? Jy moet ophou wyn drink.”

15 Toe het Hanna geantwoord: “Nee, my heer! Ek is 'n vrou wat deur 'n baie moeilike tyd gaan. Ek het nie wyn of enige ander alkohol gedrink nie, maar ek stort my siel* voor Jehovah uit.^c **16** Moenie dink dat u diensmeisie 'n slegte vrou is nie, want ek het tot nou toe gebid omdat ek baie hartseer en ontsteld is.” **17** Toe het Eli geantwoord: “Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou gee wat jy van hom gevra het.”^d **18** Toe het sy gesê: “Mag u diensmeisie u goedkeuring geniet.” En die vrou het weggegaan en geëet, en sy was nie meer hartseer nie.

19 Toe het hulle vroeg die oggend opgestaan en voor Jehovah neergebuig, en daarna het hulle teruggegaan na hulle huis in Rama.^e Elka'na het seksuele omgang met sy vrou Hanna gehad, en Jehovah het aan haar gedink.^f **20** Binne 'n jaar* het Hanna swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee en hom Samuel^g genoem,^g want sy het gesê: “Ek het hom van Jehovah gevra.”

21 Ná verloop van tyd het Elka'na saam met sy hele huisge-

HFST. 1

a Ge 30:22

b Nu 6:5

c Ps 42:6
Ps 62:8
Ps 142:2

d 1Sa 1:11

e 1Sa 1:1

f 1Sa 1:11
Ps 66:19
Spr 15:29g Ge 5:29
Ge 41:51
Eks 2:21, 22
Mt 1:21

Tweede kol.

a 1Sa 1:3

b De 16:16

c 1Sa 1:11
1Sa 2:11
2Kr 31:16

d Nu 15:8-10

e Jos 18:1

f 1Sa 1:15

g 1Sa 1:11, 17
Ps 66:19

HFST. 2

h Ps 13:6
Lu 1:46

sin gegaan om die jaarlikse offerande aan Jehovah te bring^a en sy gelofte-offer aan te bied.

22 Maar Hanna het nie gegaan nie,^b want sy het vir haar man gesê: “Sodra ek ophou om die seun te borsvoed, sal ek hom bring. Hy sal dan voor Jehovah verskyn en van daardie dag af daar woon.”^c **23** Haar man, Elka'na, het toe vir haar gesê: “Doen wat jy dink die beste is. Bly by die huis totdat jy hom nie meer borsvoed nie. Mag Jehovah vervul wat jy gesê het.” Toe het die vrou by die huis gebly en haar seun geborsvoed totdat sy hom gespeen het.

24 Toe sy die seun nie meer geborsvoed het nie, het sy hom na Silo geneem, en sy het 'n drie jaar oue bul, een efa* meel en 'n groot kruik wyn^d saamgeneem. Sy het na die huis van Jehovah in Silo^e gegaan en die jong seun saamgeneem. **25** Hulle het die bul geslag en die seun na Eli toe gebring. **26** Sy het toe gesê: “Verskoon my, my heer! So waar as wat u lewe, my heer, ek is die vrou wat op hierdie plek by u gestaan het om tot Jehovah te bid.^f **27** Ek het gebid en vir hierdie seun gevra, en Jehovah het vir my gegee wat ek van hom gevra het.^g **28** Daarom leen ek hom nou aan Jehovah. Ek leen hom sy hele lewe lank aan Jehovah.”

En hy* het daar voor Jehovah neergebuig.

2 Toe het Hanna in gebed gesê:

“My hart is bly danksy Jehovah.^h
Jehovah het my krag gegee.*

1:24 *Omtrent 22 l. Sien Aanb. B14.

1:28 *Blykbaar Elkana. 2:1 *Of “my horing opgelig”. Sien Woordelys, “Horing”.

1:15 *Sien Woordelys. 1:20 *Of moontlik “Ná verloop van tyd”. ^aBe- teken “naam van God”.

Ek praat moedig teen my vyande,
want ek is bly as gevolg van u reddingsdade.

- 2** Niemand is heilig soos Jehovah nie,
daar is niemand behalwe u nie,^a
en daar is geen rots soos ons God nie.^b
- 3** Hou op om groot te praat.
Laat geen hoogmoedige woorde uit julle mond kom nie,
want Jehovah is 'n God van kennis,^c
en hy is regverdig wanneer hy daade beoordeel.
- 4** Die boog van magtige manne word stukkend gebreek,
maar dié wat struikel, kry weer krag.^d
- 5** Dié wat genoeg kos gehad het, moet hulleself verhuur om brood te kry,
maar dié wat honger was, is nie meer honger nie.^e
Die onvrugbare vrou het aan sewe kinders geboorte gegee,^f
maar sy wat baie seuns gehad het, is nou verlate.
- 6** Jehovah maak dood, en hy bewaar lewe.*
Hy laat mense na die Graf^g afgaan, en hy laat hulle opstaan.^g
- 7** Jehovah maak arm, en hy maak ryk.^h
Hy verneder, en hy verheerlik.ⁱ
- 8** Hy tel die hulpelose uit die stof op,
en hy haal die een wat arm is, van die ashoop* af^j

2:6 *Of "maak lewend". ^gOf "Sjool".
Sien Woordelys. 2:8 *Of moontlik "vullishoop".

HFST. 2

- a Eks 15:11
De 4:35
Ps 73:25
Ps 86:8
Ps 89:6
- b De 32:4
- c Job 36:4
Job 37:16
Ro 11:33
- d Jes 40:29
- e Lu 1:53
- f 1Sa 1:11, 20
- g De 32:39
Job 14:13
Ps 30:3
Ps 49:15
Ps 68:20
Ho 13:14
Joh 11:24
1Kor 15:55
- h De 8:18
De 28:12
2Kr 1:11, 12
Job 42:12
Spr 10:22
- i Ps 75:7
- j Ps 113:5, 7
Lu 1:52

Tweede kol.

- a Ps 102:25
- b Ps 91:11
Ps 97:10
Ps 121:3
- c Ps 37:28
- d Ps 33:16
Sag 4:6
- e Eks 15:6
- f 1Sa 7:10
2Sa 22:14
Ps 18:13
- g Ps 96:13
Han 17:31
- h Ps 2:6
Ps 110:1
Mt 28:18
- i Lu 1:69
Han 4:27
- j 1Sa 1:11
1Sa 3:1, 15
- k 1Sa 2:22
- l Le 7:34

om hulle by prinse te laat sit en hulle 'n posisie van eer te gee.

Die fundamente van die aarde behoort aan Jehovah,^a
en hy plaas die vrugbare land daarop.

- 9** Hy bewaar die voetstappte van sy lojales,^b
maar die goddeloses sal in die duisternis vernietig word,^c
want 'n man oorwin nie deur middel van krag nie.^d

- 10** Jehovah sal dié wat teen hom veg, vernietig.*^e
Sy stem sal vanuit die hemel soos die donder teen hulle dreun.^f

Jehovah sal tot aan die eindes van die aarde oordeel.^g

Hy sal mag aan sy koning gee,^h
en krag aan sy gesalfde.^hⁱ

- 11** Toe het Elka'na na sy huis in Rama gegaan, maar die seun het 'n dienaar van Jehovahⁱ geword onder die toesig van die priester Eli.*

12 Die seuns van Eli was slegte manne.^k Hulle het geen respek vir Jehovah gehad nie.

- 13** Met die deel van die offer wat die volk aan die priesters moes gee, het hulle die volgende gedoen:^l Wanneer iemand 'n offerande gebring het, het 'n dienaar van die priester gekom met 'n drietandvurk in sy hand terwyl die vleis gekook het. **14** Hy het die vurk dan in die kom of die kookpot met twee handvatsels of die kookketel of die kookpot met een hand-

2:10 *Of moontlik "Dié wat teen Jehovah stry, sal vreesbevange word".
^gOf "en die horing van sy gesalfde op lig".
Sien Woordelys, "Horing". **2:11** *Of "het Jehovah voor die priester Eli gedien".

vatsel gestee. Alles wat aan die vurk vasgesit het, het die priester vir homself gevat. Dit is wat hulle gedoen het met al die Israëliete wat na Silo gekom het. **15** En soms het die dienaar van die priester gekom nog voordat rook uit die vet van die offerande getrek het^a en vir die man wat die offerande bring, gesê: "Gee vir die priester vleis om te braai. Hy wil nie gekookte vleis van jou hê nie, net rou vleis." **16** As die man vir hom gesê het: "Laat die vet eers rook,^b dan kan jy vir jou vat wat jy ook al wil hê," het hy gesê: "Nee, gee dit nou vir my, anders neem ek dit met geweld!" **17** Die dienaars se sonde was baie ernstig vir Jehovah,^c want die manne het geen respek vir Jehovah se offers gehad nie.

18 Samuel het voor Jehovah gedien,^d al was hy maar net 'n seun, en hy het 'n linne-efod gedra.^e **19** Sy ma het elke jaar vir hom 'n moulose oorkleed gemaak en dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man gekom het om die jaarlikse offer te bring.^f **20** Eli het Elkaná en sy vrou geseën en gesê: "Mag Jehovah uit hierdie vrou vir jou 'n kind gee in die plek van die een wat aan Jehovah geleen is."^g En hulle het terug huis toe gegaan. **21** Jehovah het aan Hanna gedink, en sy het swanger geword.^h Sy het aan nog drie seuns en twee dogters gegee. En die seun Samuel het voor Jehovah grootgeword.ⁱ

22 Eli was al baie oud, maar hy het gehoor van alles wat sy seuns aan die hele Israel gedoen het/ en hoe hulle seksuele omgang gehad het met die vrouens wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het.^k **23** Hy het dikwels vir hulle ge-

HFST. 2

a Le 3:3-5

b Le 3:16
Le 7:25, 31

c 1Sa 2:29

d 1Sa 2:11
1Sa 3:15

e 2Sa 6:14

f Eks 23:14
1Sa 1:3, 21

g 1Sa 1:27, 28

h Ge 21:1, 2
1Sa 1:19i 1Sa 2:26
1Sa 3:19

j 1Sa 2:12-17

k Eks 38:8
Le 21:6

Tweede kol.

a Nu 15:31
1Sa 2:17
1Sa 3:13, 14b Spr 29:1
Spr 30:17

c 1Sa 2:21

d Eks 4:14, 27

e Eks 28:1
Le 8:12
Nu 17:5, 8

f Nu 18:7

g Le 2:3
Le 6:16
Le 10:14
Nu 5:9
Nu 18:9h Eks 25:8
Jos 18:1
1Sa 1:3

i 1Sa 2:14-16

j Eks 28:43

sê: "Hoekom hou julle aan om hierdie dinge te doen? Want al die mense sê slegte dinge van julle. **24** Nee, my seuns, die berigte wat onder Jehovah se volk rondgaan, is nie goed nie. **25** As 'n mens teen 'n ander mens sondig, kan iemand vir hom by Jehovah pleit,* maar as 'n mens teen Jehovah sondig,^a wie kan dan vir hom bid?" Hulle het egter geweier om na hulle pa te luister, want Jehovah het besluit om hulle dood te maak.^b **26** Intussen het die seun Samuel bly groei, en hy het al hoe meer geliefd geword by Jehovah en mense.^c

27 'n Man van God het na Eli toe gekom en vir hom gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Het ek my nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou voorvader terwyl hulle slawe van die huis van Farao in Egipte was nie?'^d **28** En jou voorvader is uit al die stamme van Israel gekies^e om as my priester te dien en om op my altaar^f offerandes te bring, om reukwerk te brand* en om 'n efod voor my te dra. Ek het aan die huis van jou voorvader al die vuuroffers van die Israëliete gegee.^g **29** Hoekom toon julle geen respek vir* my offerande en offergawe wat ek gesê het in my woonplek geoffer moet word nie?'^h Hoekom eer jy jou seuns meer as wat jy my eer? Hoekom maak julle julleself vet met die beste dele van elke offer van my volk Israel?'ⁱ

30 "Daarom is dit wat Jehovah, die God van Israel, sê: "Ek het wel gesê dat jou huis en die huis van jou voorvader altyd voor my sal dien."^j Maar nou sê Jehovah: "Dit sal nie gebeur

2:25 *Of moontlik "sal God as skeidsregter vir hom ootree". **2:28** *Of moontlik "om offerrook te laat opgaan". **2:29** *Lett. "skop julle na".

nie! Want dié wat my eer, sal ek eer, en dié wat geen respek vir my het nie,^a sal sonder respek behandel word.” **31** Kyk! Die dae kom wanneer ek jou krag* en die krag van jou voorvader se huis sal wegneem, sodat niemand in jou huis oud sal word nie.^b **32** En terwyl Israel met goeie dinge geseë word, sal jy 'n vyand in my woonplek vind,^c en daar sal nooit weer 'n ou man in jou huis wees nie. **33** Die man uit jou familie wat ek sal toelaat om by my altaar te bly dien, sal jou oë laat ingee en sal vir jou baie hartseer veroorsaak, maar die meeste van jou huis sal deur die swaard van mense sterf.^d **34** En wat met jou twee seuns, Hofni en Pi'nehas, sal gebeur, sal vir jou die teken wees: Op een dag sal hulle al twee sterf.^e **35** Dan sal ek vir my 'n getroue priester aanstel.^f Hy sal optree in ooreenstemming met die begeerte van my hart,* en ek sal vir hom 'n blywende huis^g gee, en hy sal altyd as priester vir my gesalfde dien. **36** Enigiemand van jou huis wat oorbly, sal voor hom kom neerbuig om geld en 'n brood te verdien, en hy sal sê: “Laat my asseblief as 'n priester dien, sodat ek 'n stukkie brood kan hê om te eet.”^g

3 Intussen het die seun Samuel Jehovah onder Eli se toesig gedien,^h maar in daardie dae was boodskappe van Jehovah skaars, en daar was min visioene.ⁱ

2 Eendag het Eli in sy kamer gelê. Sy oë was al so swak dat hy nie meer kon sien nie.^j

3 Die lamp van God^k was nog

2:31 *Lett. “arm”. 2:35 *Of “met wat in my hart en in my siel is”. ^aD.w.s. 'n geslag van priesters.

HFST. 2

a Ps 18:20
Ps 91:14

b 1Sa 3:14
1Sa 4:11, 18
1Sa 22:18
1Kn 2:27

c Ps 78:60, 61

d 1Sa 22:18, 21

e 1Sa 4:11, 17

f 1Kn 2:27, 35
1Kr 29:22

g Le 2:3
Nu 5:9

HFST. 3

h 1Sa 2:11, 18

i Nu 12:6
1Kr 17:15

j 1Sa 4:15

k Le 24:2

Tweede kol.

a 1Sa 1:9
1Sa 3:15

b Am 3:7

c 1Sa 4:17

d Nu 23:19
1Sa 2:31-34
Jes 55:10, 11

e 1Sa 2:22, 23
Joh 15:22
Jak 4:17

f Nu 15:30
1Sa 2:12, 17

nie geblus nie, en Samuel het in die tempel*^a van Jehovah gelê, waar die Ark van God was. **4** Jehovah het toe na Samuel geroep. Hy het geantwoord: “Hier is ek.” **5** Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Maar Eli het gesê: “Ek het nie geroep nie. Gaan lê weer.” Toe het hy weer gaan lê. **6** Jehovah het weer eens geroep: “Samuel!” Samuel het toe opgestaan en na Eli gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Maar hy het gesê: “Ek het nie geroep nie, my seun. Gaan lê weer.” **7** (Samuel het Jehovah nog nie leer ken nie en het nog nie 'n boodskap van Jehovah ontvang nie.)^b **8** Toe het Jehovah weer geroep, 'n derde keer: “Samuel!” Hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.”

Eli het toe besef dat dit Jehovah is wat die seun roep. **9** Toe het Eli vir Samuel gesê: “Gaan lê, en as hy jou roep, moet jy sê: ‘Praat, Jehovah, u kneg luister.’” En Samuel het weer op sy plek gaan lê.

10 Jehovah het daar kom staan en soos die ander kere geroep: “Samuel, Samuel!” Toe het Samuel geantwoord: “Praat asseblief, want u kneg luister.”

11 Jehovah het vir Samuel gesê: “Kyk! Ek gaan iets in Israel doen, en enigiemand wat daarvan hoor, sal sy ore nie kan glo nie.”^c **12** Op daardie dag sal ek alles aan Eli doen wat ek omtrent sy huis gesê het, van die begin tot die einde.^d **13** Jy moet vir hom sê dat ek sy huis vir altyd sal straf vir die oortreding waarvan hy geweet het,^e want sy seuns vervloek God,^f

3:3 *D.w.s. die tabernakel. 3:11 *Lett. “se ore sal tuit”.

maar hy het hulle nie gedissiplineer nie.^a **14** Daarom het ek vir die huis van Eli gesweer dat daar nooit met offerandes of offergawes versoening gedoen sal kan word vir die oortreding van die huis van Eli nie.”^b

15 Samuel het tot die oggend toe bly lê. Toe het hy die deure van Jehovah se huis oopgemaak. Samuel was bang om vir Eli van die visioen te vertel.

16 Maar Eli het Samuel geroep en gesê: “Samuel, my seun!” Toe het hy gesê: “Hier is ek.”

17 Hy het gevra: “Watter boodskap het hy vir jou gegee? Moet dit asseblief nie vir my wegsteek nie. Mag God jou swaar straf* as jy 'n enkele woord vir my wegsteek van alles wat hy vir jou gesê het.” **18** Toe het Samuel hom alles vertel, en hy het niks vir hom weggesteek nie. Eli het gesê: “Dit is Jehovah. Laat hom doen wat goed is in sy oë.”

19 Terwyl Samuel grootgeword het, was Jehovah met hom,^c en God het nie een van sy woorde onvervuld laat bly nie. **20** In die hele Israel, van Dan tot Berse'ba, het dit bekend geword dat Samuel as Jehovah se profeet aangestel is. **21** En Jehovah het aangehou om in Silo te verskyn, want Jehovah het hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur middel van die woord van Jehovah.^d

4 En Samuel se woorde het in die hele Israel bekend geword.

Toe het Israel gegaan om teen die Filistyne te veg. Hulle het langs Ebenhaëser kamp opgeslaan, en die kamp van die Filistyne was in Afek. **2** Die Filistyne het in gevegsformasie

3:17 *Lett. “so aan jou doen en daarby voeg”.

HFST. 3

a Pr 8:11

b 1Sa 4:11
1Sa 22:21
1Kn 2:27

c 1Sa 2:21

d 1Sa 3:1, 4
Ps 99:6

Tweede kol.

HFST. 4

a De 28:15, 25
De 32:30
Rig 2:14

b 2Sa 15:25

c Eks 25:18
Nu 7:89
2Kn 19:15
Ps 80:1

d 1Sa 2:12

e Eks 14:25
Eks 15:14f Eks 7:5
Ps 78:43, 51

gaan staan om Israel te ontmoet, maar die geveg het sleg verloop vir Israel, en hulle is deur die Filistyne verslaan. Die Filistyne het omtrent 4 000 manne op die slagveld doodgemaak.

3 Toe die manne na die kamp teruggekeer het, het die ouerманne van Israel gesê: “Hoekom het Jehovah toegelaat dat ons vandag deur die Filistyne verslaan word?*"a Laat ons die ark van Jehovah se verbond uit Silo^b saam met ons neem, sodat dit by ons kan wees en sodat dit ons uit die hand van ons vyande kan red.” **4** Hulle het dus manne na Silo gestuur, en hulle het die ark van die verbond van Jehovah van die leërmagte, wat op sy troon bo* die gerubs sit, gaan haal.^c Eli se twee seuns, Hofni en Pi'nehas,^d was ook daar by die ark van die verbond van die ware God.

5 Toe die ark van die verbond van Jehovah in die kamp inkom, het al die Israëliete hard begin skree, sodat die aarde geskud het. **6** Toe die Filistyne die geskree hoor, het hulle gesê: “Hoekom is daar so 'n harde geskree in die kamp van die Hebreërs?” Uiteindelik het hulle uitgevind dat die Ark van Jehovah in die kamp ingekom het. **7** Die Filistyne het bang geword, want hulle het gesê: “God het in die kamp ingekom!”^e Toe het hulle gesê: “Dit is verby met ons, want so iets het nog nooit voorheen gebeur nie! **8** Dit is verby met ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie magtige God? Dit is die God wat Egipte in die wildernis met allerhande plae getref het.^f **9** Wees moedig en tree soos manne op, Filistyne, sodat julle nie

4:3 *Lett. “Hoekom het Jehovah ons vandag voor die Filistyne verslaan?”

4:4 *Of moontlik “tussen”.

die Hebreërs hoof te dien het soos hulle julle gedien het nie.^a Tree soos manne op en veg!"

10 Toe het die Filistyne geveg, en Israel is verslaan,^b en elk een het na sy tent gevlug. Die slagting was baie groot – 30 000 voetsoldate van Israel het geval. **11** Wat meer is, die Filistyne het die Ark van God geneem, en die twee seuns van Eli, Hofni en Pi'nehas, het gesterf.^c

12 Op daardie dag het 'n man van Benjamin van die slagveld af gehardloop en met geskeurde klere en grond op sy kop in Silo aangekom.^d **13** Toe die man daar aankom, het Eli op 'n stoel langs die pad gesit en wag, want hy was baie bekommerd* oor die Ark van die ware God.^e Die man het in die stad ingegaan om die nuus te gaan vertel, en die hele stad het begin skree. **14** Toe Eli die geskree hoor, het hy gevra: "Wat beteken al die geraas?" Dieselfde man het vinnig na Eli toe gegaan en vir hom die nuus vertel. **15** (Eli was 98 jaar oud, en sy oë het reguit vorentoe gestaar, en hy kon nie meer sien nie.)^f **16** Toe het die man vir Eli gesê: "Ek het van die slagveld af gekom! Vandag het ek van die slagveld af gevlug." Toe het hy gevra: "Wat het gebeur, my seun?" **17** Toe het die drager van die nuus gesê: "Israel het vir die Filistyne gevlug, want hulle is verslaan en baie het gesterf.^g U twee seuns, Hofni en Pi'nehas, het ook gesterf,^h en die Filistyne het die Ark van die ware God geneem."ⁱ

18 Die oomblik toe hy die Ark van die ware God noem, het Eli agteroor geval van sy stoel af wat langs die poort was, en hy het sy nek gebreek en gesterf, want hy was oud en swaar.

4:13 *Lett. "sy hart het gebewe".

HFST. 4

a De 28:48
Rig 10:7
Rig 13:1

b Le 26:14, 17
De 28:25
1Sa 4:2

c 1Sa 2:31, 34
1Sa 4:3, 17
Ps 78:61, 64

d Jos 7:6

e 1Sa 4:4

f 1Sa 3:2

g 1Sa 3:11

h 1Sa 2:34

i 1Sa 4:10, 11

Tweede kol.

a 1Sa 14:3

b Ps 78:61

c 1Sa 2:32, 34
1Sa 4:5, 11

d 1Sa 4:11
Jer 7:12

HFST. 5

e 1Sa 4:11

f Rig 16:23
1Kr 10:8-10

g Eks 12:12
1Kr 16:26
Ps 97:7

h Jes 46:6, 7

Hy het 40 jaar lank as rigter oor Israel gedien. **19** Sy skoonogter, Pi'nehas se vrou, was swanger en was ver gevorderd in haar swangerskap. Toe sy die nuus hoor dat die Filistyne die Ark van die ware God geneem het en dat haar skoonpa en haar man gesterf het, het sy vooroor gebuig en onverwags geboortepyne begin kry en geboorte gegee. **20** Terwyl sy gesterf het, het die vrouens wat by haar gestaan het, gesê: "Moenie bang wees nie, want jy het aan 'n seun geboorte gegee." Sy het nie geantwoord of daarop gereageer nie.* **21** Maar sy het die seun I'kabod*^a genoem en gesê: "Heerlikheid is uit Israel in ballingskap weggeneem."^b Sy het verwys na die Ark van die ware God wat weggeneem is, asook na wat met haar skoonpa en haar man gebeur het.^c **22** Sy het gesê: "Heerlikheid is uit Israel in ballingskap weggeneem, want die Ark van die ware God is weggeneem."^d

5 Toe die Filistyne die Ark^e van die ware God geneem het, het hulle dit van Ebenhaëser na Asdod gebring. **2** Die Filistyne het die Ark van die ware God geneem en dit in die tempel* van Dagon ingebring en dit langs Dagon^f neergesit. **3** Toe die Asdodiete die volgende dag vroeg opstaan, het Dagon met sy gesig op die grond voor die Ark van Jehovah^g gelê. Hulle het Dagon opgetel en hom weer op sy plek gesit.^h **4** Toe hulle vroeg die volgende oggend opstaan, het Dagon weer met sy gesig op die grond voor die Ark van Jehovah gelê. Dagon se kop en sy twee hande was afgekap en het op

4:20 *Of "haar hart daarop gerig nie".

4:21 *Betekens "waar is die heerlikheid?" 5:2 *Lett. "huis".

die drumpel gelê. Net die visge-
deelte* het oorgebly. **5** Daar-
om trap die priesters van Dagon
en almal wat in die huis van Dagon
ingaan, tot vandag toe nie
op die drumpel van Dagon in
Asdod nie.

6 En Jehovah het die Asdo-
diete swaar gestraf. Hy het As-
dod en die omliggende ge-
biede met aambeie getref.^a

7 Toe die manne van Asdod
sien wat gebeur, het hulle ge-
sê: “Moenie die Ark van die God
van Israel by ons laat bly nie,
want hy het ons en ons god Dagon
laat swaarkry.” **8** Hulle het
toe al die leiers van die Filistyne
bymeakaargeroep en vir hulle ge-
vra: “Wat moet ons met die Ark
van die God van Israel doen?”
Hulle het geantwoord: “Laat die
Ark van die God van Israel na
Gat^b geneem word.” Daarom het
hulle die Ark van die God van
Israel soontoe geneem.

9 Nadat hulle dit soontoe ge-
neem het, het Jehovah die stad
gestraf, en dit het groot paniek
veroorzaak. Hy het die man-
ne van die stad, klein so-
wel as groot, met aambeie ge-
tref.^c **10** Hulle het dus die Ark
van die ware God na Ekron^d ge-
stuur, maar toe die Ark van die
ware God in Ekron kom, het die
Ekroniete begin uitroep: “Hul-
le het die Ark van die God van
Israel na ons toe gebring om
ons en ons volk dood te maak!”^e

11 Toe het hulle al die leiers
van die Filistyne bymeakaar-
geroep en gesê: “Stuur die Ark
van die God van Israel weg. Laat
dit na sy plek terugkeer sodat
ons en ons volk nie doodgemaak
word nie.” Want die vrees vir die
dood het deur die hele stad ver-
sprei. Die ware God het die stad
swaar gestraf,^f **12** en die man-
ne wat nie gesterf het nie, is

5:4 *Lett. “Net Dagon”.

HFST. 5

a 1Sa 6:5, 6

b 1Sa 17:4

c 1Sa 5:6

d Jos 15:20, 45
2Kn 1:2
Am 1:8

e 1Sa 5:7

f 1Sa 5:6, 9

Tweede kol.

HFST. 6

a 1Sa 4:11
1Sa 5:1
Ps 78:61

b De 18:9, 10
Jes 2:6

c 1Sa 6:4, 17

d Jos 13:2, 3
1Sa 6:16

e 1Sa 6:18

f 1Sa 5:6, 11

g Eks 7:13
Eks 8:15
Eks 14:17

h Eks 9:14, 16
Ro 9:17, 18

i Eks 6:1
Eks 11:1
Eks 12:33

j 1Sa 6:3, 4

k Jos 15:10, 12
Jos 21:8, 16
2Kr 28:18

met aambeie getref. En die stad
se geroep om hulp het na die he-
mel opgestyg.

6 Die Ark^a van Jehovah was
sewe maande lank in die Fil-
listyne se gebied. **2** Die Filistyne
het die priesters en die waar-
sêers^b geroep en gevra: “Wat
moet ons met die Ark van Je-
hovah doen? Sê vir ons hoe ons
dit na sy plek moet terugstuur.”

3 Hulle het geantwoord: “As jul-
le die ark van die verbond van
Jehovah, die God van Israel,
wegstuur, moet julle dit nie son-
der ’n offer wegstuur nie. Jul-
le moet seker maak dat julle ’n
skuldoffer aan hom stuur.^c Slegs
dan sal julle gesond word en
weet waarom hy julle bly straf.”

4 Toe het hulle gevra: “Watter
skuldoffer moet ons aan hom
stuur?” Hulle het gesê: “Stuur
vyf goue aambeie en vyf goue
muisse, een vir elke leier van die
Filistyne,^d want dieselfde plaag
het julle en julle leiers getref.

5 Julle moet beelde maak van
julle aambeie en beelde van die
muisse^e wat die land verwoes,
en julle moet die God van Is-
rael eer. Miskien sal hy ophou
om julle en julle god en julle
land so swaar te straf.^f **6** Hoe-
kom sou julle julle hart verhard,
soos Egipte en Faraó gedoen
het?^g Toe die God van Israel hul-
le laat swaarkry het,^h moes hul-
le Israel laat gaan.ⁱ **7** Maak dan
nou ’n nuwe wa, en neem twee
koeie wat kalwers het en wat
nog nooit onder ’n juk was nie.
Span dan die koeie voor die wa
in, maar neem hulle kalwers ter-
rug huis toe, weg van hulle af.

8 Neem die Ark van Jehovah en
sit dit op die wa, en sit die goue
voorwerpe wat julle as ’n skuld-
offer na hom toe stuur, in ’n kis-
sie langs die Ark.^j Stuur dit dan
weg **9** en hou dit dop: As dit
op die pad na Bet-Semes^k gaan,

na die gebied waar die Ark vandaan kom, dan is hy die een wat hierdie groot ramp oor ons gebring het. Maar indien nie, dan sal ons weet dat dit nie hy was wat ons gestraf het nie. Dit het net toevallig gebeur.”

10 Die manne het dit gedoen. Hulle het twee koeie wat kalwers het, geneem en hulle voor die wa ingespan, en hulle het die kalwers by die huis ingehok.

11 Toe het hulle die Ark van Jehovah op die wa gesit, sowel as die kisse waarin die goue muise en die beelde van hulle aambeie was. **12** En die koeie het reguit vorentoe begin loop op die pad na Bet-Semes.^a Hulle het op die grootpad gebly en gebulk terwyl hulle geloop het. Hulle het nie regs of links gedraai nie. Die hele tyd het die leiers van die Filistyne agter hulle aan geloop tot by die grens van Bet-Semes. **13** Die mense van Bet-Semes was besig om koring in die valleivlakte te oes. Toe hulle opkyk, was hulle baie bly om die Ark te sien. **14** Die wa het die grond van Josua, die Bet-Semiet, bereik en naby 'n groot klip gestop. Toe het hulle die hout van die wa opgekap en die koeie^b as 'n brandoffer aan Jehovah geoffer.

15 Die Leviete^c het die Ark van Jehovah en die kisse waarin die goue voorwerpe was, afgehaal en dit op die groot klip gesit. Die manne van Bet-Semes^d het op daardie dag brandoffers geoffer en offerandes aan Jehovah gebring.

16 Toe die vyf leiers van die Filistyne dit sien, het hulle op daardie dag na Ekron teruggegaan. **17** Die Filistyne het die goue aambeie as 'n skuldoffer aan Jehovah gestuur:^e een vir Asdod,^f een vir Gasa, een vir As'kelon, een vir Gat^g en een

HFST. 6

a 1Sa 6:8, 9

b 1Sa 6:7

c Nu 3:30, 31

d Jos 21:8, 16

e 1Sa 6:4

f 1Sa 5:1

g 1Sa 5:8

Tweede kol.

a Rig 1:18
1Sa 5:10b Nu 4:15, 20
1Kr 13:10

c Le 11:45

d Nu 17:12, 13
2Sa 6:8, 9
Ps 76:7e Jos 18:14
1Kr 13:5, 6f 1Kr 16:1
2Kr 1:4

HFST. 7

g 2Sa 6:2, 4
1Kr 13:5, 7

h Ne 9:28

i 1Sa 12:24

j Jos 24:14, 23
Rig 3:7k Rig 2:13
Rig 10:6
1Kn 11:33

vir Ekron.^a **18** Die getal goue muise was dieselfde as die getal Filistynse stede wat aan die vyf leiers behoort het – die versteurde stede sowel as die dorpie in die oop veld.

En die groot klip waarop hulle die Ark van Jehovah gesit het, is tot vandag toe 'n gedenkteken op die grond van Josua, die Bet-Semiet. **19** Maar God het die manne van Bet-Semes doodgemaak omdat hulle na die Ark van Jehovah gekyk het. Hy het 50 070* onder die volk doodgemaak, en die volk het begin treur omdat Jehovah soveel van hulle doodgemaak het.^b **20** Daarom het die manne van Bet-Semes gevra: “Wie sal kan bly staan voor Jehovah, hierdie heilige God?^c Laat hy van ons af weggaan, maar na wie toe?”^d **21** Toe het hulle boodskappers na die inwoners van Kir'jat-Jea'rim^e gestuur en gesê: “Die Filistyne het die Ark van Jehovah teruggegee. Kom hierheen en neem dit saam met julle.”^f

7 Die manne van Kir'jat-Jea'rim het toe gekom en die Ark van Jehovah na die huis van Abina'dab^g op die heuwel geneem, en hulle het sy seun Elea'sar geheilig om die Ark van Jehovah op te pas.

2 Altesaam 20 jaar het verloop van die dag dat die Ark na Kir'jat-Jea'rim toe gekom het, en die hele huis van Israel het Jehovah se hulp begin soek.^h

3 Samuel het toe vir die hele huis van Israel gesê: “As julle met julle hele hartⁱ tot Jehovah terugkeer, moet julle ontslae raak van julle vreemde gode^j en Asto'ret-beelde,^k en julle moet

6:19 *Lett. “70 manne, 50 000 manne”. **7:2** *Of “het klaend tot Jehovah geroep”.

lojaal bly aan* Jehovah en hom alleen dien,^a en dan sal hy julle uit die hand van die Filistyne red.”^b **4** Toe het die Israëliete ontslae geraak van die Baäls en die Asto’ret-beelde en Jehovah alleen gedien.^c

5 Toe het Samuel gesê: “Laat die hele Israel by Mispa^d bymekaarkom, en ek sal vir julle tot Jehovah bid.”^e **6** Toe het hulle by Mispa bymekaargekom, en hulle het water geskep en dit voor Jehovah uitgegooi en op daardie dag gevas.^f Hulle het daar gesê: “Ons het teen Jehovah gesondig.”^g En Samuel het in Mispa as rigter^h oor die Israëliete begin dien.

7 Toe die Filistyne hoor dat die Israëliete by Mispa bymekaargekom het, het die leiers van die Filistyneⁱ gegaan om teen Israel te veg. Toe die Israëliete daarvan hoor, het hulle bang geword vir die Filistyne. **8** Daarom het die Israëliete vir Samuel gesê: “Moenie ophou om Jehovah ons God te vra om ons te help^j en ons uit die hand van die Filistyne te red nie.” **9** Toe het Samuel ’n lammetjie geneem en dit as ’n heelbrandoffer aan Jehovah geoffer,^k en Samuel het tot Jehovah geroep om Israel te help, en Jehovah het hom geantwoord.^l **10** Terwyl Samuel die brandoffer geoffer het, het die Filistyne nader gekom om teen Israel te veg. Jehovah het toe op daardie dag harde donderslae^m oor die Filistyne laat dreun, en Hy het hulle verwar,ⁿ en hulle is voor Israel verslaan.^o **11** Die manne van Israel het uit Mispa gegaan en die Filistyne agternagesit en hulle tot suid van Bet-Kar verslaan. **12** Toe het Samuel ’n klip^p geneem en dit tussen Mispa en Jesa’na ge-

HFST. 7

a De 10:20

De 13:4

Lu 4:8

b De 28:1

c Rig 10:16

d Rig 20:1

1Sa 10:17

2Kn 25:23

Jer 40:6

e 1Sa 12:23

Jak 5:16

f 2Kr 20:3

Ne 9:1

Jl 2:12

g Rig 10:10

h Rig 2:18

i Jos 13:2, 3

1Sa 6:4

j 1Sa 12:19

Jes 37:4

k Le 1:10

l Ps 99:6

m 1Sa 2:10

2Sa 22:14

n Jos 10:10

Rig 4:15

o De 20:4

De 28:7

p Jos 4:9

Jos 24:26

Tweede kol.

a Ps 44:3

b 1Sa 9:16

1Sa 13:5

c 1Sa 14:22, 23

1Sa 17:51

d Ge 15:18, 21

e 1Sa 3:20

1Sa 12:11

1Sa 25:1

Han 13:20

f Jos 16:1

g Jos 15:7, 12

1Sa 11:15

h 1Sa 7:5

i 1Sa 1:1

1Sa 8:4

1Sa 19:18

j Eks 20:25

HFST. 8

k 1Kr 6:28

l Eks 18:21

m Eks 23:8

De 16:19

Ps 15:5

Spr 29:4

n De 24:17

o De 17:14, 15

1Sa 12:13

Han 13:21

sit en dit Ebenhaëser* genoem, want hy het gesê: “Jehovah het ons tot nou toe gehelp.”^a

13 So is die Filistyne onderwerp, en hulle het nie weer in Israel se gebied gekom nie.^b Al die dae van Samuel was die hand van Jehovah teen die Filistyne.^c **14** En die stede wat die Filistyne by Israel geneem het, is aan Israel teruggegee, van Ekron af tot by Gat, en Israel het hulle gebied by die Filistyne teruggeneem.

Daar was ook vrede tussen Israel en die Amoriete.^d

15 Samuel het sy hele lewe lank as rigter oor Israel gedien.^e **16** Elke jaar het hy in ’n kring gereis na Bet-El,^f Gilgal^g en Mispa,^h en hy het op al hierdie plekke as rigter oor Israel gedien.

17 Maar hy het altyd na Ramaⁱ teruggekeer, want sy huis was daar, en hy het daar ook as rigter oor Israel gedien. Hy het daar ’n altaar vir Jehovah gebou.^j

8 Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as rigters in Israel aangestel. **2** Die naam van sy eersgebore seun was Joël, en die naam van sy tweede was Abi’a.^k Hulle was rigters in Berse’ba. **3** Maar sy seuns het nie sy voorbeeld gevolg nie. Hulle was geneig om oneerlike wins na te jaag,^l en hulle het omkoopgeskenke aanvaar^m en die reg verdraai.ⁿ

4 Ná verloop van tyd het al die ouermanne van Israel bymekaargekom en na Samuel toe gekom in Rama. **5** Hulle het vir hom gesê: “U het oud geword, en u seuns volg nie u voorbeeld nie. Stel nou vir ons ’n koning aan om oor ons te regeer, soos al die ander nasies.”^o **6** Maar toe hulle sê: “Gee vir

7:3 *Lett. “julle hart rig op”.

7:12 *Betenen “klip van hulp”.

ons 'n koning om oor ons te regeer," het Samuel niks daarvan gehou nie.* Toe het Samuel tot Jehovah gebid, **7** en Jehovah het vir Samuel gesê: "Luister na alles wat die volk vir jou sê, want hulle het jou nie verwerp nie, maar hulle het my as hulle koning verwerp.^a **8** Hulle doen tot vandag toe nog presies dieselfde as wat hulle gedoen het van die dag af dat ek hulle uit Egipte uitgelei het. Hulle het my keer op keer verlaat^b en ander gode gedien,^c en dit is hoe hulle jou nou behandel. **9** Luister nou na hulle. Maar jy moet hulle ernstig waarsku en vir hulle sê wat die koning wat oor hulle sal regeer, van hulle mag eis."

10 Samuel het dus vir die volk wat hom vir 'n koning gevra het, alles vertel wat Jehovah vir hom gesê het. **11** Hy het gesê: "Dit is wat die koning wat oor julle sal regeer, van julle mag eis:^d Hy sal julle seuns neem^e en hulle in sy strydwaens sit^f en hulle sy perde-ruiters maak,^g en party sal voor sy strydwaens moet hardloop. **12** En hy sal vir hom hoofde oor 1000^h en hoofde oor 50ⁱ aanstel, en party sal vir hom ploeg,^j sy oes insamel^k en sy oorlogswaens en toerusting vir sy strydwaens maak.^l **13** Hy sal julle dogters neem om self te meng,^m te kook en te bak.^m **14** Hy sal julle beste landerye, wingerde en olyfboordeⁿ neem en dit aan sy knegte gee. **15** Hy sal 'n tiende van julle graanlande en julle wingerde neem, en hy sal dit aan sy hofbeamptes en sy knegte gee. **16** En hy sal julle diensknegte en julle diensmeisies en julle beste beeste en julle donkies neem, en hy sal hul-

8:6 *Lett. "was dit sleg in die oë van Samuel". 8:13 *Of "parfuum te maak".

HFST. 8

a Rig 8:23
1Sa 10:19
1Sa 12:12
Jes 33:22

b De 9:24

c Rig 2:19

d 1Sa 10:25

e 1Sa 14:52

f 1Kn 9:22
1Kn 10:26

g 1Kn 4:26

h 2Sa 18:1
1Kr 27:1

i 2Kn 1:14

j 1Kr 27:26

k 1Kn 4:7

l 1Kn 4:26

m 1Kn 4:22

n 1Kr 27:28, 31

Tweede kol.

a 1Kn 5:15, 16

b 1Kn 4:22, 23

c 1Kn 12:3, 4

d 1Sa 8:7
Ho 13:11

HFST. 9

e 1Sa 14:51
1Kr 8:33
Han 13:21

f Rig 21:17

g 1Sa 11:15
1Sa 13:13
1Sa 15:26
1Sa 28:7
1Sa 31:4
2Sa 1:23

le vir sy werk gebruik.^a **17** Hy sal 'n tiende van julle kleinvee neem,^b en julle sal sy knegte word. **18** Die dag sal kom wanneer julle sal uitroep as gevolg van die koning wat julle vir julle gekies het,^c maar Jehovah sal julle nie op daardie dag antwoord nie."

19 Maar die volk het geweier om te luister na wat Samuel vir hulle gesê het, en hulle het gesê: "Nee, ons wil beslis 'n koning oor ons hê. **20** Dan sal ons soos al die ander nasies wees, en ons koning sal oor ons regeer en ons lei en hy sal ons oorloë voer." **21** Nadat Samuel al die woorde van die volk gehoor het, het hy dit aan Jehovah oorgedra. **22** Jehovah het vir Samuel gesê: "Luister na hulle, en stel 'n koning aan om oor hulle te regeer."^d Toe het Samuel vir die manne van Israel gesê: "Elkeen van julle moet na sy stad terugkeer."

9 Daar was 'n man van Benjamin met die naam Kis,^e die seun van Abi'ël, die seun van Seror, die seun van Bego'rat, die seun van Afi'ag, 'n Benjaminsiet^f en 'n baie ryk man. **2** Hy het 'n seun gehad met die naam Saul,^g wat jonk en aantreklik was – niemand onder die Israëliete was aantrekliker as hy nie – en hy was van sy skouers af langer as al die ander mense.

3 Toe die donkies* van Saul se pa, Kis, weggeraak het, het hy vir sy seun Saul gesê: "Neem asseblief een van die dienaars saam met jou, en gaan soek die donkies." **4** Hulle het deur die bergstreek van E'fraim en deur die Sali'sa-streek gegaan, maar hulle het nie die donkies gevind nie. Hulle het deur die Sa'älim-streek gereis, maar hulle was

9:3 *Lett. "donkiemerries".

ook nie daar nie. Hulle het deur die hele land van die Benjaminiete gegaan, maar hulle het hulle nie gevind nie.

5 Hulle het in die Suf-streek gekom, en Saul het vir sy dienaar gesê: "Kom ons gaan terug, anders sal my pa meer bekommerd wees oor ons as oor die donkies."^a **6** Maar die dienaar het geantwoord: "Daar is 'n man van God in hierdie stad, 'n gerespekterde man. Alles wat hy sê, word altyd waar.^b

Kom ons gaan soontoe. Miskien kan hy vir ons sê waarheen ons moet gaan." **7** Toe het Saul vir sy dienaar gesê: "As ons gaan, wat sal ons vir die man neem? Daar is nie brood in ons sakke nie. Daar is niks om as 'n geskenk vir die man van die ware God te neem nie. Wat het ons?"

8 Toe het die dienaar Saul geantwoord: "Kyk! Hier is 'n kwart sikkels* silwer in my hand. Ek sal dit vir die man van die ware God gee, en hy sal vir ons sê waarheen om te gaan." **9** (In vroeër tye in Israel sou 'n man die volgende sê wanneer hy God se leiding wou vra: "Kom, laat ons na die siener toe gaan."^c Want in vroeër tye is 'n profeet 'n siener genoem.) **10** Toe het Saul vir sy dienaar gesê: "Goed so. Kom ons gaan." Toe het hulle na die stad gegaan waar die man van die ware God was.

11 Terwyl hulle met die opdraand na die stad opgegaan het, het hulle meisies gesien wat uitgaan om water te skep. Hulle het vir hulle gevra: "Is die siener^d hier?" **12** Hulle het geantwoord: "Ja, hy is. Hy is net voor julle. Maak gou, want hy het vandag na die stad gekom omdat die volk vandag 'n offerande^e op

die offerhoogte bring.^a **13** As julle in die stad kom, sal julle hom vind voordat hy na die offerhoogte opgaan om te eet. Die volk sal nie eet voordat hy kom nie, want hy moet die offerande eers seën. Dan mag die genooïdes eet. As julle nou dadelik opgaan, sal julle hom vind."

14 Daarom het hulle na die stad opgegaan. Toe hulle in die stad kom, het Samuel uitgekome om hulle te ontmoet en om na die offerhoogte op te gaan.

15 Die dag voordat Saul gekom het, het Jehovah vir Samuel gesê: **16** "Môre omtrent hierdie tyd sal ek 'n man uit die land van Benjamin^b na jou toe stuur. Jy moet hom as leier oor my volk Israel salf,^c en hy sal my volk uit die hand van die Filistyne red. Want ek het gesien hoe my volk swaarkry, en ek het hulle hulpgeroep gehoor."^d **17** Toe Samuel vir Saul sien, het Jehovah vir hom gesê: "Hier is die man van wie ek vir jou gesê het: 'Hy sal oor my volk regeer.'"^e

18 Toe het Saul na Samuel toe gegaan in die poort en gesê: "Sê tog asseblief vir my waar die huis van die siener is." **19** Samuel het vir Saul gesê: "Ek is die siener. Gaan voor my op na die offerhoogte, en julle sal vandag saam met my eet.^f Môreoggend kan julle weer op pad wees, en ek sal vir jou alles vertel wat jy wil weet." **20** Moenie bekommerd wees oor die donkies wat al drie dae vermis word nie,^g want hulle is gevind. En aan wie behoort al die waardevolle dinge van Israel? Behoort dit nie aan jou en aan die hele huis van jou pa nie?"^h **21** Toe het Saul geantwoord: "Ek is 'n Benjaminiet,

HFST. 9

a 1Sa 10:2

b 1Sa 3:19

c 1Sa 9:19
2Sa 15:27
1Kr 9:22
1Kr 29:29

d 1Sa 9:19

e 1Sa 7:9
1Sa 16:5

Tweede kol.

a 1Kn 3:2
1Kr 16:39
2Kr 1:3

b Jos 18:11

c 1Sa 10:1
1Sa 15:1d Ps 106:43, 44
Ps 107:19e 1Sa 10:24
1Sa 15:17
Han 13:21

f 1Sa 9:13, 24

g 1Sa 9:3

h 1Sa 8:5, 19
1Sa 12:13

die offerhoogte bring.^a **13** As julle in die stad kom, sal julle hom vind voordat hy na die offerhoogte opgaan om te eet. Die volk sal nie eet voordat hy kom nie, want hy moet die offerande eers seën. Dan mag die genooïdes eet. As julle nou dadelik opgaan, sal julle hom vind."

14 Daarom het hulle na die stad opgegaan. Toe hulle in die stad kom, het Samuel uitgekome om hulle te ontmoet en om na die offerhoogte op te gaan.

15 Die dag voordat Saul gekom het, het Jehovah vir Samuel gesê: **16** "Môre omtrent hierdie tyd sal ek 'n man uit die land van Benjamin^b na jou toe stuur. Jy moet hom as leier oor my volk Israel salf,^c en hy sal my volk uit die hand van die Filistyne red. Want ek het gesien hoe my volk swaarkry, en ek het hulle hulpgeroep gehoor."^d **17** Toe Samuel vir Saul sien, het Jehovah vir hom gesê: "Hier is die man van wie ek vir jou gesê het: 'Hy sal oor my volk regeer.'"^e

18 Toe het Saul na Samuel toe gegaan in die poort en gesê: "Sê tog asseblief vir my waar die huis van die siener is." **19** Samuel het vir Saul gesê: "Ek is die siener. Gaan voor my op na die offerhoogte, en julle sal vandag saam met my eet.^f Môreoggend kan julle weer op pad wees, en ek sal vir jou alles vertel wat jy wil weet." **20** Moenie bekommerd wees oor die donkies wat al drie dae vermis word nie,^g want hulle is gevind. En aan wie behoort al die waardevolle dinge van Israel? Behoort dit nie aan jou en aan die hele huis van jou pa nie?"^h **21** Toe het Saul geantwoord: "Ek is 'n Benjaminiet,

9:17 *Of "my volk binne perke hou".
9:19 *Lett. "wat in jou hart is".

9:8 *n Sikkels was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. **9:9** *Lett. "God wou soek".

uit die kleinste van die stamme van Israel,^a en my familie is die onbelangrikste van al die families van die stam van Benjamin. Hoekom het u dan so iets vir my gesê?”

22 Toe het Samuel vir Saul en sy dienaar na die eetsaal gebring en hulle 'n plek aan die hoof van die genooies gegee. Daar was ongeveer 30 manne daar. **23** Samuel het vir die kok gesê: “Bring die stuk vleis wat ek vir jou gegee het en wat ek gesê het jy eenkant moet sit.” **24** Toe het die kok die boud voor Saul gesit. En Samuel het gesê: “Hierdie stuk vleis is vir jou eenkant gehou. Eet, want hulle het dit spesiaal vir hierdie geleentheid vir jou eenkant gesit. Want ek het vir hulle gesê: ‘Ek het gaste genooi.’” Saul het toe op daardie dag saam met Samuel geëet. **25** Toe het hulle van die offerhoogte^b af na die stad gegaan, waar Samuel verder op die plat dak van die huis met Saul gepraat het. **26** Die volgende oggend het hulle vroeg opgestaan, en toe dit lig begin word het, het Samuel vir Saul geroep, wat op die dak was, en gesê: “Maak jou gereed, sodat ek jou kan afsien.” Daarom het Saul hom gereedgemaak, en albei het buitoe gegaan. **27** Terwyl hulle met die afdraand na die buitewyke van die stad geloop het, het Samuel vir Saul gesê: “Sê vir die dienaar^c om voor ons uit te gaan.” Toe het hy vooruitgegaan, en Samuel het verder gesê: “Maar jy moet bly staan, sodat ek jou die woord van God kan vertel.”

10 Samuel het toe die fles olie geneem en dit op Saul se kop uitgegooi.^d Hy het hom gesoen en gesê: “Jehovah het jou as 'n leier^e oor sy erfdeel

HFST. 9

a Rig 20:46, 47

b 1Sa 9:13, 19

c 1Sa 9:3, 10

HFST. 10

d 1Sa 16:13

2Kn 9:2, 3

e 1Sa 9:16

Han 13:21

Tweede kol.

a Eks 19:5

De 32:9

b Ge 35:19

c 1Sa 9:3, 5

d Ge 28:19, 22

e Nu 11:25

f 1Sa 10:10

g 1Sa 7:15, 16

1Sa 11:14

gesalf.^a **2** Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy twee manne naby die graf van Ragel^b in die gebied van Benjamin by Selsag vind, en hulle sal vir jou sê: ‘Die donkies wat jy gaan soek het, is gevind, maar nou het jou pa van die donkies^c vergeet en oor julle bekommerd geraak. Hy vra: “Wat moet ek omtrent my seun doen?”’ **3** Gaan verder daarvandaan totdat jy by die groot boom van Tabor kom, waar jy drie manne sal ontmoet wat na die ware God in Bet-El^d gaan. Die een man sal drie boklammers dra, die ander een sal drie brode dra en die derde een sal 'n groot kruik wyn dra. **4** Hulle sal jou vra hoe dit met jou gaan en vir jou twee brode gee, en jy moet die brode by hulle neem. **5** Daarna sal jy by die heuwel van die ware God kom, waar 'n groep Filistynse soldate geplaas is. Wanneer jy by die stad kom, sal jy 'n groep profete ontmoet wat van die offerhoogte afkom. Terwyl hulle profeteer, sal musikante voor hulle loop en op 'n snaarinstrument, 'n tamboeryn, 'n fluit en 'n harp speel. **6** Die gees van Jehovah sal jou krag gee,^e en jy sal saam met hulle profeteer en soos 'n ander mens word.^f **7** Nadat hierdie tekens plaasgevind het, moet jy doen wat jy kan om jou toewysing uit te voer, want die ware God is met jou. **8** Gaan dan voor my uit na Gilgal,^g en ek sal daar na jou toe kom om brandoffers te offer en vrede-offers* te bring. Jy moet sewe dae lank wag totdat ek na jou toe kom. Dan sal ek jou laat weet wat jy moet doen.”

9 Toe Saul omdraai om Samuel te verlaat, het God sy hart begin verander sodat hy soos

10:8 *Of “gemeenskapsoffers”.

'n ander mens geword het, en al hierdie tekens het op daardie dag waar geword. **10** Van daar af het hulle na die heuwel gegaan, en 'n groep profete het hom ontmoet. Die gees van God het hom dadelik krag gegee,^a en hy het saam met hulle begin profeteer.^b **11** Toe almal wat hom voorheen geken het, sien hoe hy saam met die profete profeteer, het hulle vir mekaar gevra: "Wat het met die seun van Kis gebeur? Is Saul ook een van die profete?" **12** 'n Man van daardie omgewing het toe gevra: "Maar wie is hulle pa?" Daarom het dit 'n spreekwoord geword: "Is Saul ook een van die profete?"^c

13 Toe hy klaar geprofeteer het, het hy na die offerhoogte toe gegaan. **14** Die broer van Saul se pa het later vir hom en vir sy dienaar gevra: "Waarheen het julle gegaan?" Toe het hy gesê: "Om die donkies te gaan soek,^d maar ons kon hulle nêrens vind nie, en daarom het ons na Samuel toe gegaan." **15** Saul se oom het gevra: "Sê asseblief vir my: Wat het Samuel vir julle gesê?" **16** Saul het vir sy oom gesê: "Hy het vir ons gesê dat die donkies reeds gevind is." Maar Saul het nie vir hom gesê wat Samuel oor die koningskap gesê het nie.

17 Samuel het die volk toe voor Jehovah in Mispa^e byme-kaargeroep **18** en vir die Israëliete gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek het Israel uit Egipte uitgelei en julle gered uit die hand van Egipte' en uit die hand van al die koninkryke wat julle onderdruk het. **19** Maar vandag het julle julle God^g verwerp wat julle uit al julle krisisse en moeilikhe-
de gered het, en julle het gesê: "Nee, jy moet beslis 'n koning oor ons aanstel." Gaan staan

HFST. 10

a Rig 14:5, 6
1Sa 11:6
1Sa 16:13b 1Sa 10:6
1Sa 19:23

c 1Sa 19:24

d 1Sa 9:3

e 1Sa 7:5

f Eks 13:14
De 4:34g 1Sa 8:7
1Sa 12:12

Tweede kol.

a Jos 7:16-18
Han 1:24

b 1Sa 9:21

c Han 13:21

d Rig 1:1
Rig 20:18, 28
1Sa 23:2

e 1Sa 9:2

f De 17:14, 15
1Sa 9:17

g 1Sa 8:11-18

h 1Sa 11:12

i 1Kn 10:1, 10
2Kr 17:5

HFST. 11

j De 2:19

k Rig 21:8
1Sa 31:11, 12

dan nou voor Jehovah volgens julle stamme en volgens julle familie-groepe."*

20 Daarom het Samuel al die stamme van Israel laat nader kom,^a en die stam van Benjamin is gekies.^b **21** Toe het hy die stam van Benjamin volgens sy families laat nader kom, en die familie van die Matriete is gekies. Uiteindelik is Saul, die seun van Kis, gekies.^c Maar toe hulle hom gaan soek, kon hulle hom nêrens kry nie. **22** Hulle het Jehovah dus gevra:^d "Het die man al hierheen gekom?" Jehovah het geantwoord: "Hy kruip daar tussen die bagasie weg." **23** Hulle het gehardloop en hom daar gaan haal. Hy het in die middel van die volk gaan staan, en hy was van sy skouers af langer as al die ander mense.^e **24** Samuel het vir die hele volk gesê: "Sien julle die een wat Jehovah uitgekies het?" Onder die hele volk is daar niemand soos hy nie." Toe het die hele volk begin uitroep: "Lank lewe die koning!"

25 Samuel het met die volk gepraat oor wat die koning van hulle mag eis^g en dit in 'n boek geskryf en dit voor Jehovah neergesit. Toe het Samuel die hele volk weggestuur, elkeen na sy huis. **26** Saul het ook na sy huis in Gi'bea gegaan, en die vegters wie se harte deur Jehovah geraak is, het saam met hom gegaan. **27** Maar 'n paar slegte manne het gesê: "Hoe sal hy ons red?"^h Hulle het op hom neergesien en het nie vir hom 'n geskenk gebring nie.ⁱ Maar hy het niks daarvan gesê nie.*

11 Toe het Nahas, die Ammoniet,^j opgetrek om teen Jabes^k in Gi'lead te veg. Al die manne van Jabes het vir Nahas

10:19 *Of "duisende". 10:27 *Lett. "En hy was soos iemand wat stom is".

gesê: "Maak 'n verbond* met ons, en ons sal u dien." **2** Toe het Nahas, die Ammoniet, vir hulle gesê: "Ek sal 'n verbond met julle maak op die voorwaarde dat ek die regteroog van elkeen van julle uitsteek. Ek sal dit doen om die hele Israel te verneder." **3** Die ouermanne van Jabes het vir hom gesê: "Gee ons sewe dae, sodat ons boodskappers deur die hele gebied van Israel kan stuur. Dan, as daar niemand is om ons te red nie, sal ons ons aan u oorgee." **4** Ná verloop van tyd het die boodskappers by Gi'bea,^a Saul se woonplek, gekom en toe hulle vir die volk hierdie woorde sê, het die hele volk kliphard begin huil.

5 Maar Saul het van die veld af gekom, en hy was agter die beeste. Hy het gevra: "Wat maakier die volk? Hoekom huil hulle?" Toe het hulle vir hom vertel wat die manne van Jabes gesê het. **6** Die gees van God het Saul krag gegee^b toe hy hierdie woorde hoor, en hy het woedend geword. **7** Daarom het hy 'n paar bulle geneem en hulle in stukke gesny, en hy het dit met boodskappers deur die hele gebied van Israel gestuur. Hulle het gesê: "Elkeen wat Saul en Samuel nie volg nie, moet verag dat dit met sy beeste gedoen sal word!" En Jehovah het die volk bang laat word, en hulle het soos een man uitgekome. **8** Toe het hy hulle in Be'sek getel, en daar was 300 000 Israëliete en 30 000 manne van Juda. **9** Hulle het toe vir die boodskappers wat gekom het, gesê: "So moet julle vir die manne van Jabes in Gi'lead sê: 'Wanneer die son môre op sy hoogste is,* sal julle gered word.'" Toe het

11:1 *Of "ooreenkoms". 11:9 *Lett. "warm word".

HFST. 11

a 1Sa 10:26
1Sa 14:2

b Rig 3:9, 10
Rig 6:34
Rig 11:29
Rig 14:5, 6
1Sa 10:10, 11
1Sa 16:13

Tweede kol.

a 1Sa 11:3

b 1Sa 11:1

c 1Sa 10:26, 27

d 2Sa 19:22

e 1Sa 7:15, 16

f 1Sa 10:17, 24

g Le 7:11

h 1Kn 1:39, 40
2Kn 11:12, 14
1Kr 12:39, 40

HFST. 12

i 1Sa 8:5
1Sa 10:24
1Sa 11:14, 15

j 1Sa 8:20

k 1Sa 8:1, 3

die boodskappers gekom en dit vir die manne van Jabes vertel, en hulle was baie bly. **10** Die manne van Jabes het dus vir die Ammoniete gesê: "Môre sal ons ons aan julle oorgee, en julle kan aan ons doen wat julle ook al wil."^a

11 Die volgende dag het Saul die manne in drie afdelings verdeel, en hulle het gedurende die oggendwaak* in die kamp ingegaan en die Ammoniete^b doodgemaak totdat die son op sy hoogste was. Dié wat oorleef het, is verstrooi, en elke man wat weggekome het, het alleen weggekome. **12** Toe het die volk vir Samuel gesê: "Waar is daardie manne wat gesê het: 'Saul moenie ons koning wees nie?'^c Lewer hulle aan ons oor, en ons sal hulle doodmaak." **13** Saul het egter gesê: "Niemand moet vandag doodgemaak word nie,^d want vandag het Jehovah Israel gered."

14 Samuel het later vir die volk gesê: "Kom, laat ons na Gilgal^e gaan sodat ons Saul se koningskap weer kan bevestig."^f

15 Die hele volk het na Gilgal gegaan, en in Gilgal het hulle Saul voor Jehovah koning gemaak. Toe het hulle daar voor Jehovah vrede-offers* gebring,^g en Saul en al die manne van Israel het vreugdevol feesgevier.^h

12 Uiteindelik het Samuel vir die hele Israel gesê: "Ek het alles gedoen wat julle van my gevra het, en ek het 'n koning aangestel om oor julle te regeer.ⁱ **2** Hier is die koning wat julle lei!^j Ek het oud en grys geword, en my seuns is hier by julle,^k en ek het julle van my

11:11 *D.w.s. van omtrent 02:00 tot omtrent 06:00. 11:15 *Of "gemeenskapsoffers". 12:2 *Lett. "wat voor loop".

jong dae af tot vandag toe gelei.^a **3** Hier is ek. Getuig teen my voor Jehovah en voor sy gesalfde:^b Wie se bul of wie se donkie het ek geneem?^c Of wie het ek uitgebuit of onderdruk? Uit wie se hand het ek 'n omkoopgeskenk aanvaar om my blind te hou vir iets verkeerd?^d As ek so iets gedoen het, sal ek julle daarvoor vergoed.”^e **4** Hulle het geantwoord: “U het ons nie uitgebuit of onderdruk nie, en u het niks uit enigiemand se hand aanvaar nie.” **5** Toe het hy vir hulle gesê: “Jehovah is 'n getuie teen julle, en sy gesalfde is vandag 'n getuie dat daar niks is waarvan julle my kan beskuldig nie.”^f Hulle het toe gesê: “Hy is 'n getuie.”

6 Toe het Samuel vir die volk gesê: “Jehovah, wat vir Moses en Aäron aangestel het en wat julle voorvaders uit Egipte uitgelei het,^g is 'n getuie. **7** Neem dan nou julle posisies in, en ek sal julle voor Jehovah oordeel en julle herinner aan al die regverdige dade wat Jehovah vir julle en julle voorvaders gedoen het.

8 “Nadat Jakob in Egipte^g gekom het en julle voorvaders tot Jehovah om hulp begin roep het,^h het Jehovah Mosesⁱ en Aäron gestuur om julle voorvaders uit Egipte uit te lei en hulle hier te laat woon.^j **9** Maar hulle het Jehovah hulle God vergeet, en hy het hulle^k in die hand van Si'sera,^l die hoof van die leërmag van Hasor, en in die hand van die Filistyne^m en in die hand van die koning van Moabⁿ gegee, en hulle het teen hulle geveg. **10** En hulle het tot Jehovah om hulp begin roep^o en gesê: ‘Ons het gesondig,^p want

12:5 *Lett. “dat julle niks in my hand gevind het nie”.

HFST. 12

- a 1Sa 3:19
- b 1Sa 9:16, 17
1Sa 10:1
- c Nu 16:15
- d De 16:19
- e Eks 22:4
Le 6:4
- f Eks 6:26
- g Ge 46:6
- h Eks 2:23
- i Eks 3:9, 10
- j Jos 11:23
- k De 32:18, 30
Rig 2:12, 14
- l Rig 4:2
- m Rig 10:7
Rig 13:1
- n Rig 3:12
- o Rig 2:18
Rig 3:9
- p Rig 10:10, 15

Tweede kol.

- a Rig 3:7
- b Rig 2:13
- c Rig 6:32
- d Rig 11:1
- e Heb 11:32
- f Le 26:6
- g 1Sa 11:1
- h 1Sa 8:5, 19
- i Rig 8:23
1Sa 8:7
Jes 33:22
- j 1Sa 9:16, 17
1Sa 10:24
- k De 10:12
De 17:19
- l Jos 24:14
- m De 13:4
De 28:2
- n Le 26:14, 17
De 28:15
Jos 24:20
- o 1Sa 8:7
Ho 13:11
- p 1Sa 7:5
1Sa 12:23

ons het Jehovah verlaat om die Baäls^a en die Asto'ret-beelde^b te dien. Red ons nou uit die hand van ons vyande, sodat ons u kan dien.’ **11** Toe het Jehovah Jerub'baäl,^c Bedan, Jefta^d en Samuel^e gestuur en julle uit die hand van julle vyande rondom julle gered, sodat julle in veiligheid kon woon.^f **12** Toe julle sien dat Nahas,^g die koning van die Ammoniete, julle aanval, het julle vir my bly sê: ‘Nee, ons wil beslis 'n koning oor ons hê,^h al is Jehovah julle God julle Koning.’ⁱ **13** Nou goed, hier is die koning wat julle gekies het en waarvoor julle gevra het. Kyk! Jehovah het 'n koning oor julle aangestel.^j **14** Maar dit sal slegs met julle goed gaan as julle Jehovah^k vrees en hom dien^l en sy stem gehoorsaam^m en as julle nie teen die bevel van Jehovah in opstand kom nie en as julle en die koning wat oor julle regeer, Jehovah julle God volg. **15** Maar as julle nie die stem van Jehovah gehoorsaam nie en julle teen die bevel van Jehovah in opstand kom, sal Jehovah julle en julle vaders straf.ⁿ **16** Neem nou julle posisies in en sien hierdie groot ding wat Jehovah voor julle oë sal doen. **17** Dit is nou die tyd van die koringoes. Maar ek sal Jehovah vra om donderslae en reën te gee. Dan sal julle weet en verstaan wat 'n slegte ding julle in Jehovah se oë gedoen het deur vir 'n koning te vra.”^o

18 Samuel het toe tot Jehovah geroep, en Jehovah het op daardie dag donderslae en reën gegee, sodat die hele volk Jehovah en Samuel grootliks gevrees het. **19** En die hele volk het vir Samuel gesê: “Bid vir ons tot Jehovah u God^p sodat ons nie sal sterf nie, want ons het al so baie sondes gepleeg, en nou

het ons nog iets slegs gedoen deur vir 'n koning te vra.”

20 Toe het Samuel vir die volk gesê: “Moenie bang wees nie. Dit is waar dat julle al hierdie sondes gepleeg het. Maar moet net nie ophou om Jehovah te volg nie, en dien Jehovah^a met julle hele hart.^b **21** Moenie afdwaal om die leë dinge* te volg,^c wat geen voordeel inhou^d en wat julle nie kan red nie, want hulle is niks werd nie.*

22 Ter wille van sy groot naam^e sal Jehovah sy volk nie verlaat nie,^f want Jehovah het self besluit dat julle sy volk sou word.^g

23 Wat my betref, ek sal nooit eers daaraan dink om teen Jehovah te sondig deur op te hou om vir julle te bid nie. Ek sal ook aanhou om julle te leer wat die goeie en die regte weg is.

24 Vrees Jehovah^h en dien hom getrou* met julle hele hart. Dink terug aan die groot dinge wat hy vir julle gedoen het.ⁱ **25** Maar as julle hardkoppig bly doen wat sleg is, sal julle saam met julle koning^j weggee word.”^k

13 Saul was . . . * jaar oud toe hy koning geword het,^l en hy het twee jaar oor Israel regeer. **2** Toe het Saul vir hom 3 000 manne uit Israel gekies: 2 000 van hulle was by Saul in Migmas en in die bergstreek van Bet-El, en 1 000 was by Jo'natan^m in Gi'beaⁿ van Benjamin. Hy het die res van die manne weggestuur na hulle tente toe. **3** Toe het Jo'natan die groep Filistynse^o soldate verslaan wat in Geba^p was, en die Filistyne het daarvan gehoor. Saul het beveel dat daar regoor die land op die horing geblaas moet word^q en gesê moet word: “Laat

12:21 *Of “onwerklikhede”. 12:24 *Of “in waarheid”. 13:1 *Daar is geen syfer in die Hebreuse teks nie.

HFST. 12

a De 31:29
Jos 23:6
1Sa 12:15

b De 6:5

c De 32:21
Jer 2:11

d Ps 115:4, 5
Jer 16:19

e Jos 7:9
Ps 23:3
Ps 106:8
Jer 14:21
Ese 20:14

f 1Kn 6:13
Ps 94:14
Ro 11:1

g Eks 19:5
De 7:7

h 1Sa 12:14
Ps 111:10
Pr 12:13

i De 10:12, 21

j De 28:15, 36

k Jos 24:20

HFST. 13

l Han 13:21

m 1Sa 18:1
2Sa 1:4
2Sa 21:7

n Jos 18:28
1Sa 10:26

o Jos 13:2, 3
1Sa 9:16

p Jos 21:8, 17

q Rig 3:26, 27
Rig 6:34
2Sa 2:28

Tweede kol.

a Jos 5:9
1Sa 11:14

b De 20:1

c Jos 7:2
Jos 18:11, 12
1Sa 14:23

d 1Sa 14:11

e Nu 32:1, 33
Jos 13:24, 25

f 1Sa 15:22, 23

g 1Sa 13:6, 8

h 1Sa 13:5

die Hebreërs dit hoor!” **4** Die hele Israel het die nuus gehoor: “Saul het 'n groep Filistynse soldate verslaan, en nou haat die Filistyne Israel nou meer.” Toe is die manne bymekaarge-roep om Saul by Gilgal^a te volg.

5 Die Filistyne het ook bymekaargekom om teen Israel te veg met 30 000 strydwaens, 6 000 perderuiters en so baie soldate soos die sandkorrels op die strand.^b Hulle het na Migmas, oos van Bet-Awen,^c gegaan en daar kamp opgeslaan. **6** En die manne van Israel het gesien dat hulle in die moeilikheid is en dat hulle situasie nie goed lyk nie. Daarom het die volk in die grotte,^d die holtes, die kranse, die kelders en die waterputte gaan wegkruip. **7** Party van die Hebreërs het selfs die Jordaanrivier oorgesteek en na die land van Gad en Gi'lead^e gegaan. Maar Saul was nog in Gilgal, en al die manne wat hom gevolg het, het van vrees gebewe.

8 Hy het sewe dae lank gewag, tot die tyd wat Samuel vasgestel het, maar Samuel het nie na Gilgal gekom nie, en die manne het Saul begin verlaat. **9** Uiteindelik het Saul gesê: “Bring die brandoffer en die vredeoffers* na my toe.” Toe het hy die brandoffer geoffer.^f

10 Maar net toe hy die brandoffer klaar geoffer het, het Samuel daar aangekom. Saul het dus uitgegaan om hom te ontmoet en om hom te seën.

11 Samuel het gevra: “Wat het jy gedoen?” Saul het geantwoord: “Ek het gesien dat die manne my begin verlaat,^g en u het nie binne die vasgestelde tyd gekom nie, en die Filistyne het in Migmas^h bymekaargekom. **12** Toe het ek vir myself gesê:

13:9 *Of “gemeenskapsoffers”.

'Nou gaan die Filistyne my hier in Gilgal aanval, en ek het nog nie Jehovah se goedkeuring gesoek nie.* Ek het dus verplig gevoel om die brandoffer te offer."

13 Toe het Samuel vir Saul gesê: "Dit was baie dom van jou. Jy het nie die gebod gehoorsaam wat Jehovah jou God jou gegee het nie.^a As jy gehoorsaam was, sou Jehovah jou koninkryk vir ewig stewig oor Israel bevestig het. **14** Maar nou gaan jou koninkryk nie bly bestaan nie.^b Jehovah sal vir hom 'n man na sy hart^c vind, en Jehovah sal hom as 'n leier oor sy volk aanstel,^d want jy was nie gehoorsaam aan Jehovah se bevel nie."^e

15 Toe het Samuel opgestaan en van Gilgal na Gi'bea van Benjamin gegaan, en Saul het die manne getel. Daar was nog ongeveer 600 manne by hom.^f **16** Saul, sy seun Jo'natan en die manne wat nog by hulle was, het in Geba^g van Benjamin gebly, en die Filistyne het in Migmas^h kamp opgeslaan. **17** Daar was drie groepe soldate wat uit die kamp van die Filistyne op strooptogte gegaan het. Die een groep het gewoonlik die pad na Ofra, na die land Sual, geneem. **18** Die ander groep het die pad na Bet-Horonⁱ geneem, en die derde groep het die pad geneem na die grens wat op die Sebo'im-vallei uitkyk, in die rigting van die wildernis.

19 In daardie tyd was daar nie 'n enkele metaalwerker in die hele land van Israel nie, want die Filistyne het gesê: "Anders kan die Hebreërs swaarde en spiese maak." **20** En al die Israeliete moes na die Filistyne toe gaan om hulle ploegskare,

13:12 *Of "Jehovah se aangesig versag nie".

HFST. 13

a 1Sa 15:11

b 1Sa 15:28

c 1Sa 16:1
2Sa 7:15
Ps 78:70
Han 13:22

d Ge 49:10
2Sa 5:2
2Sa 7:8
1Kr 28:4

e Spr 11:2

f 1Sa 13:7
1Sa 14:2

g 1Sa 13:3

h 1Sa 13:2

i Jos 10:11

Tweede kol.

a 1Sa 17:47, 50

b 1Sa 13:2
1Sa 14:4, 5

HFST. 14

c 1Sa 14:49
1Sa 18:1
2Sa 1:4

d 1Sa 10:26

e 1Sa 13:15

f 1Sa 22:9

g 1Sa 4:21

h 1Sa 2:12
1Sa 4:17

i 1Sa 1:9

j Jos 18:1
1Sa 1:3

k Eks 29:5
Nu 27:21

l 1Sa 13:2, 3

m Ge 17:9, 10
Rig 14:3
Rig 15:18
1Sa 17:36
1Kr 10:4

bylpikke, byle en sekels te laat skerp maak. **21** Dit het 'n pim* gekos vir die skerpmaak van 'n ploegskaar of 'n bylpik of 'n drietandwerktuig of 'n byl of vir herstelwerk aan 'n osdrywerstok.[#] **22** In oorlogstyd het nie een van die manne by Saul en Jo'natan^a 'n swaard of 'n spies gehad nie. Net Saul en sy seun Jo'natan het wapens gehad.

23 En 'n groep Filistynse soldate* het na die pas by die kloof van Migmas^b gegaan.

14 Op 'n dag het Jo'natan,^c die seun van Saul, vir die dienaar wat sy wapens dra, gesê: "Kom ons gaan oor na die Filistynse voorpos daar oorkant." Maar hy het nie vir sy pa daarvan gesê nie. **2** Saul het aan die buitewyke van Gi'bea^d gebly onder die granaatboom in Migron, en daar was ongeveer 600 manne by hom.^e **3** (Ahi'a, die seun van Ahi'tub,^f die broer van I'kabod,^g die seun van Pi'nehas,^h die seun van Eli,ⁱ die priester van Jehovah in Silo,^j het die efod^k gedra.) En die manne het nie geweet dat Jo'natan nie daar is nie. **4** Daar was 'n tandvormige rots aan elke kant van die deurgang van die kloof wat Jo'natan wou oorsteek om by die voorpos van die Filistyne uit te kom. Die naam van die een was Boses en die naam van die ander was Sene. **5** Die een rots was 'n pilaar in die noorde oorkant Migmas, en die ander was in die suide oorkant Geba.^l

6 Toe het Jo'natan vir sy wappendraer gesê: "Kom ons gaan oor na die voorpos van hierdie onbesnede manne.^m Miskien sal Jehovah vir ons optree, want

13:21 *'n Eertydse gewigsmaat, omtrent twee-derdes van 'n sikkkel. [#]Sien Woordelys, "Prikkel". **13:23** *Of "'n voorpos van die Filistyne".

Jehovah kan deur baie of deur min red, en niks kan hom keer nie.”^a **7** Toe het sy wapendraer vir hom gesê: “Doen wat jou hart jou ook al bewege om te doen. Waar jy gaan, sal ek gaan.”

8 Toe het Jo'natan gesê: “Kom ons gaan oor na daardie manne toe sodat hulle ons kan sien. **9** As hulle vir ons sê: ‘Staan stil totdat ons na julle toe kom!’ dan sal ons staan waar ons is en nie na hulle toe gaan nie. **10** Maar as hulle sê: ‘Kom op na ons toe!’ dan sal ons opgaan, want dit sal die teken wees dat Jehovah hulle in ons hand sal gee.”^b

11 Toe het hulle twee seker gemaak dat die voorpos van die Filistyne hulle sien. Die Filistyne het gesê: “Ky! Hier kom die Hebreërs uit die gate waar hulle weggekruip het.”^c **12** Toe het die manne van die voorpos vir Jo'natan en sy wapendraer gesê: “Kom op na ons toe, en ons sal julle 'n les leer!”^d Jo'natan het dadelik vir sy wapendraer gesê: “Volg my, want Jehovah sal hulle in die hand van Israel gee.”^e **13** En Jo'natan het hande-viervoet opgeklim, en sy wapendraer was agter hom. Jo'natan het die Filistyne aangeval, en sy wapendraer het hulle agter hom doodgemaak. **14** In hierdie eerste aanval het Jo'natan en sy wapendraer binne 'n kort afstand* ongeveer 20 manne doodgemaak.

15 Toe het almal in die kamp en die hele voorpos paniekbewange geraak, en selfs die groepe soldate wat gewoonlik op strooptogte gegaan het,^f het baie bang geword. Die aarde het begin skud, en God het hulle paniekbewange gemaak. **16** Saul

14:14 *Of “op die helfte van 'n stuk grond wat 'n span bulle in 'n dag kan ploeg”.

HFST. 14

a Rig 7:2
2Kn 6:15, 16
2Kr 14:11

b Ge 24:14
Rig 7:11
1Sa 10:7

c 1Sa 13:6
1Sa 14:22

d 1Sa 14:10

e 1Sa 14:6
2Sa 5:23, 24
2Kn 6:15, 16

f 1Sa 13:17

Tweede kol.

a 1Sa 10:26
1Sa 14:2

b 1Sa 14:20

c 1Sa 14:3

d 1Sa 13:6

e De 33:29
Rig 2:18

f 1Sa 13:5

se wagte in Gi'bea^a van Benjamin het gesien dat die verwarring in alle rigtings versprei.^b

17 Saul het vir die manne by hom gesê: “Tel asseblief, en kyk wie ons verlaat het.” Toe hulle tel, het hulle gesien dat Jo'natan en sy wapendraer nie daar is nie. **18** Saul het toe vir Ahi'a^c gesê: “Bring die Ark van die ware God hier!” (Want die Ark van die ware God was op daardie stadium by die Israeliete.) **19** En terwyl Saul met die priester Ahi'a gepraat het, het die verwarring in die kamp van die Filistyne al hoe groter geword. Toe het Saul vir die priester gesê: “Hou op waarmee jy besig is.”* **20** Saul en al die manne by hom het bymekaargekom en gaan veg. Toe hulle by die geveg kom, het hulle gesien dat die Filistyne mekaar met die swaard aangeval het. Daar was baie groot verwarring. **21** En die Hebreërs wat voorheen by die Filistyne aangesluit het en saam met hulle in die kamp ingegaan het, het oorgegaan na die Israeliete wat onder die bevel van Saul en Jo'natan was. **22** Al die manne van Israel wat in die bergstreek van E'fraim weggekruip het,^d het gehoor dat die Filistyne gevlug het, en hulle het ook by die geveg aangesluit en hulle agternagesit. **23** So het Jehovah Israel op daardie dag gered,^e en die geveg het voortgeduur tot by Bet-Awen.^f

24 Maar die manne van Israel was op daardie dag uitgeput, want Saul het die manne onder die volgende eed geplaas: “Vervloek is die man wat enige kos* eet voordat dit aand word en voordat ek op my vyande wraak

14:19 *Lett. “Trek jou hand terug”.

14:24 *Lett. “brood”.

neem!” Daarom het nie een van die manne enige kos geëet nie.^a

25 En al die manne het in die woud ingegaan, waar daar heuning was. **26** Toe die manne in die woud kom, het hulle gesien hoe die heuning drup, maar niemand het daarvan geëet nie, want hulle was bang vir die eed. **27** Maar Jo'natan het nie gehoor toe sy pa die manne onder die eed geplaas het nie,^b en daarom het hy die punt van die staf wat in sy hand was, in die heuningkoek gesteek. Toe hy daarvan eet, het sy oë opgehelder. **28** Maar een van die manne het gesê: “Jou pa het die manne onder 'n streng eed geplaas en gesê: ‘Vervloek is die man wat vandag kos eet!’^c Dit is hoekom die manne so moeg is.” **29** Maar Jo'natan het gesê: “My pa het groot moeilikheid* oor die land gebring. Kyk hoe my oë opgehelder het omdat ek hierdie klein bietjie heuning geproe het. **30** Hoeveel beter sou dit gewees het as die manne vandag vryelik geëet het^d van wat hulle van hulle vyande geneem het! Want dan sou ons selfs 'n groter oorwinning oor die Filistyne kon behaal het.”

31 Op daardie dag het hulle die Filistyne van Migmas tot by A'jalon^e bly verslaan, en die manne het baie moeg geword. **32** Die manne het gulsig op die vyande se besittings toegesak, en hulle het skape en beeste en kalwers geneem en dit op die grond geslag, en hulle het die vleis met bloed en al geëet.^f **33** Toe het Saul die volgende berig gekry: “Kyk! Die manne sondig teen Jehovah deur vleis saam met die bloed te eet.”^g Hy het gesê: “Julle was ontou. Rol nou dadelik 'n groot klip na my toe.” **34** Saul het toe gesê:

14:29 *Of “verwerping”.

HFST. 14

a Le 5:4
Nu 30:2
De 23:21

b 1Sa 14:17

c 1Sa 14:24

d 1Sa 14:26

e Jos 10:12

f Ge 9:4
Le 3:17
Le 17:10
De 12:16
Han 15:29

g De 12:23

Tweede kol.

a 1Sa 14:32

b 1Sa 7:15, 17

c Nu 27:21
1Sa 30:7, 8

d Rig 1:1
1Sa 30:8
2Sa 5:19

e Eks 28:30
De 33:8
Esr 2:62, 63

f Spr 16:33

“Gaan tussen die manne deur en sê vir hulle: ‘Elkeen van julle moet sy bul en sy skaap bring en dit hier slag en dan eet. Moenie teen Jehovah sondig deur vleis saam met die bloed te eet nie.’”^a Op daardie nag het elkeen van hulle dus sy bul gebring en dit daar geslag. **35** En Saul het 'n altaar vir Jehovah gebou.^b Dit was die eerste altaar wat hy vir Jehovah gebou het.

36 Later het Saul gesê: “Kom ons gaan in die nag agter die Filistyne aan en laat ons hulle tot die oggend toe stroop. Ons sal nie een van hulle laat lewe nie.” Toe het hulle gesê: “Doen wat u ook al dink goed is.” Toe het die priester gesê: “Laat ons eers die ware God hier raadpleeg.”^c

37 Saul het God gevra: “Moet ek die Filistyne agternasit?^d Sal u hulle in Israel se hand gee?” Maar God het hom nie op daardie dag geantwoord nie. **38** Toe het Saul gesê: “Julle almal, al die hoofmanne van die volk, kom hier, en gaan vind uit watter sonde vandag gepleeg is. **39** Want so waar as wat Jehovah lewe, wat Israel gered het, al is dit my seun Jo'natan, hy moet sterf.” Maar nie een van die manne het hom geantwoord nie. **40** Hy het toe vir die hele Israel gesê: “Julle moet aan die een kant staan, en ek en my seun Jo'natan sal aan die ander kant staan.” Toe het die manne vir Saul gesê: “Doen wat u ook al dink goed is.”

41 Saul het toe vir Jehovah gesê: “O God van Israel, antwoord tog met die Tummim!”^e Toe is Jo'natan en Saul gekies, en die res van die manne is onskuldig bevind. **42** Saul het toe gesê: “Werp die lot^f tussen my en my seun Jo'natan.” En Jo'natan is gekies. **43** Toe het Saul vir Jo'natan gesê: “Sê vir

my: Wat het jy gedoen?" Jo'natan het vir hom gesê: "Ek het maar net 'n bietjie heuning ge-proef wat aan die punt van my staf was.^a Hier is ek! Ek is gered om te sterf!"

44 Toe het Saul gesê: "Mag God my swaar straf* as jy nie sterf nie, Jo'natan."^b **45** Maar die manne het vir Saul gesê: "Moet Jo'natan sterf, wat Israel hierdie groot oorwinning* gegee het?^c Dit mag nie gebeur nie! So waar as wat Jehovah lewe, nie eers 'n enkele haar van sy kop sal op die grond val nie, want hy het vandag saam met God gewerk."^d Die manne het Jo'natan dus gered,^e en hy het nie gesterf nie.

46 Saul het toe opgehou om die Filistyne agterna te sit, en die Filistyne het na hulle eie gebied gegaan.

47 Saul het homself as koning oor Israel gevestig en het teen al sy vyande reg rondom hom geveg, naamlik die Moabiete,^e die Ammoniete,^f die Edomiete,^g die konings van Soba^h en die Filistyne.ⁱ Oral waar hy gegaan het, het hy hulle verslaan. **48** Hy was 'n dapper vegter. Hy het die Amalekiete/oorwin en Israel uit die hand van hulle vyande* gered.

49 Die seuns van Saul was Jo'natan, Jiswi en Malkisua.^k Hy het ook twee dogters gehad: die naam van die oudste was Merab,^l en die naam van die jongste was Migal.^m **50** Die naam van Saul se vrou was Ahi'noam, die dogter van Ahi'maäs. Die naam van die hoof van sy leërmag was Abner,ⁿ die seun van Ner, die oom van Saul. **51** Kis^o was

14:44 *Lett. "so aan my doen en daarby voeg". **14:45** *Of "redding".^a Lett. "losgekoop". **14:48** *Of "plunderaars".

HFST. 14

- a 1Sa 14:27
- b 1Sa 14:24
- c 1Sa 14:14
- d 1Sa 14:6
- e 1Sa 12:9
- f 1Sa 11:11
- g Ge 36:8
- h 2Sa 10:6
- i 1Sa 9:16, 17
- j Eks 17:14
- De 25:19
- 1Sa 15:3
- k 1Sa 31:2
- 1Kr 8:33
- 1Kr 9:39
- l 1Sa 18:17
- m 1Sa 18:27
- 1Sa 25:44
- 2Sa 3:13
- 2Sa 6:20
- n 1Sa 17:55
- 2Sa 2:8
- 2Sa 3:27
- o 1Sa 9:1

Tweede kol.

- a 1Kn 2:5
- b Ge 49:27
- 1Sa 9:16, 17
- c 1Sa 8:11
- 1Sa 10:26

HFST. 15

- d 1Sa 9:16
- 1Sa 10:1
- e 1Sa 12:14
- f Eks 17:8
- Nu 24:20
- De 25:17, 18
- g Eks 17:14
- De 25:19
- 1Kr 4:43
- h Le 27:29
- 1Sa 15:18
- i De 9:1, 3
- j De 13:17
- Jos 6:18
- k 1Sa 11:8
- 1Sa 13:15
- l Nu 10:29, 32
- Nu 24:21
- Rig 1:16
- m Ge 18:25
- Ge 19:12, 13
- Jos 6:17
- n Eks 18:9, 12
- o De 25:19
- 1Sa 14:47, 48
- p Ge 25:17, 18
- q 1Sa 27:8
- r 1Sa 15:33

Saul se pa. Ner,^a Abner se pa, was die seun van Abi'ël.

52 Die hele tyd dat Saul regeer het, was daar hewige geveg teen die Filistyne.^b Wanneer Saul 'n sterk of dapper man gesien het, het hy hom in sy diens geneem.^c

15 Toe het Samuel vir Saul gesê: "Jehovah het my gestuur om jou te salf as koning oor sy volk Israel.^d Luister nou na wat Jehovah sê.^e **2** Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'Ek sal die Amalekiete straf omdat hulle Israel aangeval het toe Israel uit Egipte gekom het.'^f

3 Gaan nou, en verslaan die Amalekiete^g en vernietig hulle^h en alles wat hulle het. Jy mag nie hulle lewe spaar nie.* Jy moet man sowel as vrou doodmaak,ⁱ kind sowel as baba, bul sowel as skaap, kameel sowel as donkie."^j **4** Saul het die manne opgeroep en hulle in Tela'im getel. Daar was 200 000 voet-soldate en 10 000 manne van Juda.^k

5 Saul het tot by die stad van A'malek gekom en manne in die vallei* laat wegkruip om die Amalekiete aan te val. **6** Toe het Saul vir die Keniete^l gesê: "Gaan weg van die Amalekiete af, sodat ek julle nie saam met hulle wegvee nie,^m want julle het lojale liefde aan al die Israëliete betoonⁿ toe hulle uit Egipte gekom het." Die Keniete het dus van die Amalekiete af weg-gegaan. **7** Daarna het Saul die Amalekiete^o verslaan van Ha-wila^p af tot by Sur,^q wat langs Egipte is. **8** Hy het Agag,^r die koning van A'malek, lewend gevang, maar hy het al die ander mense met die swaard dood-

15:3 *Of "genade aan hulle betoon nie". **15:5** *Of "wadi". Sien Woordeslys.

gemaak.^a **9** Maar Saul en die manne het Agag gespaar,* so wel as die beste van die kleinvee, die beeste, die vetgemaakte diere, die skaapramme en alles wat goed was.^b Hulle wou dit nie vernietig nie. Maar hulle het alles vernietig wat waardeels was en wat niemand wou hê nie.

10 Toe het Jehovah vir Samuel gesê: **11** "Ek is spyt* dat ek Saul koning gemaak het, want hy het opgehou om my te volg en het nie gedoen wat ek gesê het nie."^c Samuel het baie ontsteld geword, en hy het die hele nag lank tot Jehovah geroep.^d **12** Toe Samuel vroeg die oggend opstaan om Saul te ontmoet, is daar vir Samuel gesê: "Saul het na Karmel^e gegaan, en hy het vir hom 'n monument daar opgerig.^f Toe het hy omgedraai en na Gilgal gegaan." **13** Toe Samuel uiteindelik by Saul kom, het Saul vir hom gesê: "Mag Jehovah u seën. Ek het gedoen wat Jehovah gesê het." **14** Maar Samuel het gevra: "Wat is hierdie geluid van kleinvee in my ore dan, en die geluid van beeste wat ek hoor?"^g **15** Saul het geantwoord: "Hulle is van die Amalekiete af gebring, want die manne het die beste van die kleinvee en die beeste gespaar om dit aan Jehovah u God te offer, maar ons het alles vernietig wat oorgebly het." **16** Toe het Samuel vir Saul gesê: "Dis genoeg! Kom ek sê vir jou wat Jehovah gisteraand vir my gesê het."^h Toe het hy vir hom gesê: "Vertel my!"

17 Samuel het verder gesê: "Het jy nie min van jouself gedinkⁱ toe jy hoof van die stamme van Israel geword het en toe

15:9 *Of "het genade aan Agag betoon". **15:11** *Of "bedroef".

HFST. 15

a Le 27:29
1Sa 15:3

b Jos 7:12

c 1Sa 13:13
1Sa 15:3

d 1Sa 16:1

e Jos 15:20, 55

f 2Sa 18:18

g 1Sa 15:3

h 1Sa 15:10, 11

i 1Sa 9:21
1Sa 10:22

Tweede kol.

a 1Sa 9:16
1Sa 10:1

b 1Sa 15:3

c De 25:19

d De 13:17
1Sa 15:9

e Le 27:29
De 7:16
1Sa 15:3, 9

f 1Sa 15:15

g Jes 1:11

h Spr 21:3
Ho 6:6
Mr 12:33

i Le 3:16

j 1Sa 12:15

k Le 20:6
De 18:10, 12
1Kr 10:13

l 1Sa 15:3

m 1Sa 13:14
1Sa 16:1
Han 13:22

Jehovah jou as koning oor Israel gesalf het nie?^a **18** Later het Jehovah vir jou 'n opdrag gegee en gesê: 'Gaan vernietig die sondige Amalekiete.^b Veg teen hulle totdat jy hulle uitgeroei het.'^c **19** Hoekom het jy dan nie Jehovah se stem gehoorsaam nie? Jy het eerder gulsig op die vyande se besittings afgepeyl^d en gedoen wat sleg is in Jehovah se oë!"

20 Saul het egter vir Samuel gesê: "Maar ek hê Jehovah se stem gehoorsaam! Ek het gegaan soos Jehovah vir my gesê het, en ek het Agag, die koning van A'malek, saamgebring, en ek het die Amalekiete vernietig."^e **21** Maar die manne het die beste skape en beeste wat vernietig moes word, geneem om in Gilgal^f aan Jehovah u God te offer."

22 Samuel het toe gesê: "Wat gee Jehovah meer vreugde: brandoffers en offerandes^g of gehoorsaamheid aan Jehovah? Om gehoorsaam te wees, is beter as 'n offerande,^h en om aandag te skenk, is beter as die vetⁱ van skaapramme. **23** Want opstandigheid^j is dieselfde as die sonde van waarsêery,^k en om vermetel* op te tree, is dieselfde as om toorkrag te gebruik en afgode^l te dien. Omdat jy die woord van Jehovah verwerp het,^l het hy jou as koning verwerp."^m

24 Toe het Saul vir Samuel gesê: "Ek het gesondig, want ek was nie gehoorsaam aan Jehovah se bevel en aan u woorde nie, want ek was bang vir die manne en het na hulle geluister. **25** Vergewe nou asseblief my sonde en gaan saam met

15:23 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. ^aLet. "terafim-beelde", d.w.s. huisgode.

my terug sodat ek voor Jehovah kan neerbuig.”^a **26** Maar Samuel het vir Saul gesê: “Ek sal nie saam met jou teruggaan nie, want jy het die woord van Jehovah verwerp, en Jehovah het jou verwerp. Daarom sal jy nie as koning oor Israel bly regeer nie.”^b **27** Toe Samuel omdraai om te gaan, het Saul die soom van Samuel se moulose oorkleed gegryp, maar dit het afgeskeur. **28** Toe het Samuel vir hom gesê: “Vandag het Jehovah die koningskap oor Israel van jou af weggeskeur, en hy sal dit aan iemand gee wat beter is as jy.”^c **29** En die glorieryke God van Israel^d sal nie leuens vertel^e of van gedagte verander* nie, want Hy is nie soos ’n mens wat van gedagte verander* nie.”^f

30 Toe het hy gesê: “Ek het gesondig. Maar eer my asseblief voor die ouermanne van my volk en voor Israel. Gaan saam met my terug, en ek sal voor Jehovah u God neerbuig.”^g **31** Toe het Samuel teruggegaan agter Saul aan, en Saul het voor Jehovah neergebuig. **32** Daar na het Samuel gesê: “Bring Agag, die koning van A/malek, na my toe.” Toe het Agag huiwerig* na hom toe gegaan, want Agag het net tevore vir homself gesê: ‘My lewe is sekerlik nie meer in gevaar nie.’^h **33** Maar Samuel het gesê: “Net soos jou swaard vrouens kinderloos gemaak het, so sal jou ma kinderloos word.” Toe het Samuel Agag in stukke gekap voor Jehovah in Gilgal.^b

34 Samuel het toe na Rama gegaan, en Saul het na sy eie huis in Gi’bea gegaan. **35** Sa-

15:29 *Of “spyt voel”. 15:32 *Of moontlik “vol vertroue”. ^aLett. “Die bitterheid van die dood is sekerlik verby”.

HFST. 15

a 1Sa 15:30

b 1Sa 13:14
1Sa 16:1c 1Sa 13:14
1Sa 16:12, 13
Han 13:22

d 1Kr 29:11

e Tit 1:2
Heb 6:18

f Nu 23:19

g 1Sa 15:25

h Eks 17:14
De 25:19
1Sa 15:3

Tweede kol.

a 1Sa 16:1

b 1Sa 15:11

HFST. 16

c 1Sa 15:35

d 1Sa 15:23, 26

e 1Kn 1:39

f Rut 4:17
1Kr 2:12g Ge 49:10
1Sa 13:14
Ps 78:70
Han 13:22

h 1Sa 22:17

i Ps 89:20

j Rut 4:11
1Sa 20:6k 1Sa 17:28
1Kr 2:13

l 1Sa 10:21, 23

m 1Kn 8:39
1Kr 28:9
Ps 7:9
Spr 24:12
Jer 17:10
Han 1:24

muel het Saul tot die dag van sy dood nie weer gesien nie, want Samuel het oor Saul^a getreur. En Jehovah was spyt dat hy Saul koning oor Israel gemaak het.^b

16 Uiteindelik het Jehovah vir Samuel gesê: “Hoe lank gaan jy nog oor Saul^c treur, terwyl ek hom as koning van Israel verwerp het?^d Maak jou horing vol olie^e en gaan. Ek sal jou na Isai,^f die Betlehemiet, stuur, want ek het een van sy seuns vir my as koning uitgekies.”^g **2** Maar Samuel het gesê: “Hoe kan ek dit doen? As Saul daarvan hoor, sal hy my doodmaak.”^h Jehovah het geantwoord: “Neem ’n jong koei saam met jou en sê: ‘Ek het gekom om ’n offerande aan Jehovah te bring.’ **3** Nooi Isai na die offerande, en dan sal ek jou laat weet wat jy moet doen. Jy moet vir my die een salf wat ek sal aanwys.”ⁱ

4 Samuel het gedoen wat Jehovah gesê het. Toe hy in Betlehem^j aankom, was die ouermanne van die stad bang toe hulle by hom kom. Hulle het gevra: “Kom u in vrede?” **5** Hy het geantwoord: “Ek kom in vrede. Ek het gekom om ’n offerande aan Jehovah te bring. Julle moet julle heilig en saam met my gaan om die offerande te offer.” Toe het hy Isai en sy seuns geheilig en hulle na die offerande laat kom. **6** Toe hulle inkom, het Samuel vir Eli^k gesien en gesê: “Dit is vir seker die gesalfde van Jehovah wat hier staan.” **7** Maar Jehovah het vir Samuel gesê: “Moenie na sy voorkoms en sy lengte kyk nie,^l want ek het hom verwerp. Mens sien nie soos God sien nie, want mense sien net die uiterlike, maar Jehovah sien wat in die hart is.”^m **8** Toe het Isai

Abina^a dab^a geroep en hom voor Samuel gebring, maar hy het gesê: "Jehovah het ook nie hierdie een gekies nie." **9** Daarna het Isai Samma^b voor Samuel gebring, maar hy het gesê: "Jehovah het ook nie hierdie een gekies nie." **10** So het Isai sewe van sy seuns voor Samuel gebring, maar Samuel het vir Isai gesê: "Jehovah het nie een van hulle gekies nie."

11 Uiteindelik het Samuel vir Isai gevra: "Is dit al jou seuns?" Hy het geantwoord: "Die jongste^c is nog nie geroep nie. Hy pas die skape op."^d Samuel het toe vir Isai gesê: "Stuur iemand om hom te gaan haal, want ons sal nie eet voordat hy hier is nie." **12** Toe het hy hom laat haal. Hy was 'n aantreklike jong man met 'n rooierige voorkoms en mooi oë.^e Toe het Jehovah gesê: "Staan op, self hom, want dit is hy!"^f **13** Samuel het dus die horing met olie^g geneem en hom in die teenwoordigheid van sy broers gesalf. En van daardie dag af het Jehovah se gees vir Dawid krag gegee.^h Later het Samuel opgestaan en na Ramaⁱ gegaan.

14 Intussen het Jehovah sy gees van Saul af weggeneem,^j en 'n slegte gees van Jehovah het oor Saul gekom.^k **15** Saul se knegte het vir hom gesê: "Dit is duidelik dat 'n slegte gees van God oor u gekom het." **16** Gee asseblief vir u knegte die opdrag om na 'n man te gaan soek wat die harp goed kan speel.^l Dan kan hy daarop speel wanneer 'n slegte gees van God oor u kom, en u sal beter voel." **17** Toe het Saul vir sy knegte gesê: "Gaan soek asseblief na 'n man wat goed kan speel, en bring hom na my toe."

18 Een van die dienaars het gesê: "Ek het gesien dat een

HFST. 16

a 1Sa 17:13

1Kr 2:13

b 2Sa 13:3

c 1Sa 17:14

d 2Sa 7:8

Ps 78:70

e 1Sa 17:42

f 1Sa 13:14

Ps 89:20

Han 13:22

g 1Sa 16:1

1Kn 1:39

h Nu 11:17

Rig 3:9,10

1Sa 10:6

2Sa 23:2

i 1Sa 11:1,19

j 1Sa 18:12

1Sa 28:15

k 1Sa 18:10

1Sa 19:9

l Spr 22:29

Tweede kol.

a 1Sa 17:32, 36

1Sa 17:45, 46

b 1Sa 16:12

c 1Sa 18:12

d 1Sa 17:15

e Spr 22:29

f 1Sa 16:14

1Sa 18:10

1Sa 19:9

HFST. 17

g Rig 3:1, 3

1Sa 9:16

1Sa 14:52

h 2Kr 28:18

i Jos 15:20, 35

Jer 34:7

j 1Kr 11:12, 13

k 1Sa 21:9

l 1Sa 17:23

m Jos 11:22

2Sa 21:20, 21

van die seuns van Isai, die Betlehemiet, goed kan speel. Hy is ook 'n dapper, magtige vegter.^a Hy kan goed praat, hy is aantreklik^b en Jehovah is met hom."^c **19** Toe het Saul boodskappers na Isai gestuur en gesê: "Stuur jou seun Dawid, wat by die kleinvee is, na my toe."^d **20** Isai het dus brood, 'n leersak met wyn en 'n boklam op 'n donkie gelaai en dit saam met sy seun Dawid na Saul toe gestuur. **21** So het Dawid by Saul gekom en hom begin dien.^e Saul het baie lief vir hom geword, en hy het sy wapendraer geword. **22** Saul het 'n boodskap aan Isai gestuur en gesê: "Laat Dawid asseblief in my diens bly, want ek is baie tevrede met hom." **23** Elke keer wanneer 'n slegte gees van God oor Saul gekom het, het Dawid die harp geneem en daarop gespeel. Dit het Saul opgebeur en hom beter laat voel, en die slegte gees het hom verlaat.^f

17 Die Filistyne^g het hulle leërmagte^{*} bymeekaar gebring om oorlog te voer. Hulle het bymeekaar gekom by Sogo,^h wat aan Juda behoort, en hulle het tussen Sogo en Ase'ka,ⁱ in Efes-Dammim,^j kamp opgeslaan. **2** Saul en die manne van Israel het bymeekaar gekom en in die Ela-vallei^k kamp opgeslaan, en hulle het in gevegsformasie teen die Filistyne opgetrek. **3** Die Filistyne was teen die een berg, en die Israëliete teen die ander berg, met 'n vallei tussen hulle.

4 Toe het 'n kampioenvegter uit die kampe van die Filistyne gekom. Sy naam was Go'liat,^l van die stad Gat,^m en hy was ses el en 'n span lank.^{*} **5** Hy

17:1 *Lett. "kampe". 17:4 *Hy was omtrent 2,9 m lank. Sien Aanh. B14.

het 'n helm van koper op sy kop gedra, asook 'n pantser* met oorvleuelende skubbe. Die pantser^a van koper het 5 000 sikkels[#] geweeg. **6** Hy het koperplate aan sy bene gehad, en hy het 'n koperspies^b oor sy skouer gedra. **7** Die houtsteel van sy spies was groot, soos die balk van 'n weefraam,^c en die ysterlem van sy spies het 600 sikkels* geweeg. Die man wat sy skild gedra het, het voor hom geloop. **8** Toe het hy gaan staan en uitgeroep na die leërmag van Israel^d en vir hulle gesê: "Hoekom het julle in gevegsformasie uitgekome? Ek is die beste Filistynse vegter, en julle is die knegte van Saul. Kies vir julle 'n man, en laat hom na my toe afkom. **9** As hy teen my kan veg en my kan doodmaak, sal ons julle slawe word. Maar as ek die oorhand oor hom kry en hom doodmaak, sal julle ons slawe word en ons dien." **10** Die Filistyn het toe gesê: "Vandag daag* ek die leërmag van Israel uit.^e Stuur 'n man na my toe, en laat ons dit uitbake!"

11 Toe Saul en die hele Israel hoor wat die Filistyn sê, het hulle doodbang geword.

12 Dawid was die seun van Isai, die Efratiet,^f uit Betlehem^g van Juda. Isai^h het agt seuns gehad,ⁱ en in Saul se tyd was hy reeds 'n ou man. **13** Isai se drie oudste seuns het saam met Saul oorlog toe gegaan.^j Die naam van die eersgeborene was Eli'ab,^k die tweede Abina'dab^l en die derde Samma.^m **14** Dawid was die jongste,ⁿ en die drie oudstes het saam met Saul gegaan.

17:5 *'n Beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is. [#]Omtrent 57 kg. Sien Aanh. B14. 17:7 *Omtrent 6,84 kg. Sien Aanh. B14. 17:10 *Of "tart".

HFST. 17

a 1Sa 17:38, 39
1Kn 22:34

b 1Sa 17:45

c 1Kr 20:5

d Nu 33:55

e 1Sa 17:26
2Kn 19:22f Ge 35:16, 19
Rut 1:2g 1Sa 17:58
Mi 5:2
Mt 2:6

h Rut 4:22

i 1Kr 2:13-15

j Nu 1:3

k 1Sa 16:6

l 1Sa 16:8

m 1Sa 16:9

n 1Kr 2:13, 15

Tweede kol.

a 1Sa 16:11, 19

b 1Sa 17:2
1Sa 21:9

c 1Sa 9:16, 17

d 1Sa 17:17, 18

e 1Sa 17:4

f 1Sa 17:10

g 1Sa 17:11

15 Terwyl Dawid Saul gedien het, het hy gereeld Betlehem toe gegaan om sy pa se skape op te pas.^a **16** Intussen het die Filistyn elke oggend en elke aand uitgekome om die leërmag uit te daag, 40 dae lank.

17 Toe het Isai vir sy seun Dawid gesê: "Vat asseblief hierdie efa* geroosterde graan en hierdie tien brode vir jou broers in die kamp. **18** En vat hierdie tien stukke kaas* vir die hoof oor 1 000. Vra jou broers hoe dit met hulle gaan, en bring iets van hulle terug sodat ek kan sien dat hulle nog lewe." **19** Hulle was saam met Saul en al die ander manne van Israel in die Ela-vallei^b om teen die Filistyne te veg.^c

20 Dawid het dus vroeg die oggend opgestaan en iemand gekry om die skape op te pas. Daarna het hy gepak en vertrek, net soos Isai vir hom gesê het. Toe hy by die kamp kom, was die leërmag op pad na die slagveld toe, en hulle het 'n oorlogskreet geskree. **21** Die leërmag van Israel en die leërmag van die Filistyne het teenoor mekaar gaan staan. **22** Dawid het onmiddellik sy bagasie gelos by die persoon wat die bagasie opas en na die slagveld gehardloop. Toe hy daar aankom, het hy sy broers gevra hoe dit met hulle gaan.^d

23 Terwyl hy met hulle gepraat het, het Go'liat,^e die Filistynse kampioenvegter van die stad Gat, uit die leërmag van die Filistyne vorentoe gekom. Hy het dieselfde woorde as voorheen gesê,^f en Dawid het dit gehoor. **24** Toe die manne van Israel Go'liat sien, het hulle baie bang geword^g en van hom af

17:17 *Omtrent 22 l. Sien Aanh. B14. 17:18 *Lett. "melk".

weggevlug. **25** Hulle het gesê: “Het julle die man gesien wat vorentoe kom? Hy kom om Israel uit te daag.*^a Die koning sal groot rykdom gee aan die man wat hom doodmaak. Hy sal selfs sy dogter^b vir hom gee, en hy sal die huis van sy pa vrystel van alle verpligtinge in Israel.”

26 Dawid het vir die manne wat naby hom gestaan het, gesê: “Wat sal die man kry wat daardie Filistyn daar oorkant doodmaak en Israel se eer red? Hoe durf hierdie onbesnede Filistyn die leërmag van die lewende God uitdaag?”^c **27** Toe het die manne herhaal wat hulle voorheen gesê het: “Dit is wat die man sal kry wat hom doodmaak.” **28** Toe sy oudste broer, Eli'ab,^d hoor dat hy met die manne praat, het hy vir Dawid kwaad geword en gesê: “Hoekom het jy hiernatoe gekom? En wie het jy gekry om daardie paar skape in die wildernis op te pas?^e Ek weet hoe voorbarig en bedrieglik jy is. Jy het net gekom om die geveg te sien.” **29** Toe het Dawid gesê: “Wat het ek nou gedoen? Ek het maar net 'n vraag gevra!” **30** Toe het hy omgedraai en iemand anders dieselfde vraag gevra,^f en die manne het hom dieselfde antwoord gegee.^g

31 Party het gehoor wat Dawid gesê het, en hulle het Saul daarvan vertel. Daarom het Saul hom laat haal. **32** Dawid het vir Saul gesê: “Niemand hoef moed te verloor as gevolg van hierdie Filistyn nie. U kneg sal teen hom gaan veg.”^h **33** Maar Saul het vir Dawid gesê: “Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is maar net 'n seun,ⁱ en hy is al

17:25 *Of “uit te tart”. 17:26 *Of “uit-tart”.

HFST. 17

a 1Sa 17:10

b Jos 15:16
1Sa 14:49
1Sa 18:17, 21

c 1Sa 17:10
Jer 10:10

d 1Sa 16:6, 7
1Kr 2:13

e 1Sa 17:20

f 1Sa 17:26

g 1Sa 17:25

h 1Sa 16:18

i 1Sa 17:42

Tweede kol.

a Jes 31:4

b 1Sa 17:10
Jer 10:10

c De 7:21
2Kn 6:16
Heb 11:32-34

d Rig 20:15, 16

van jongs af 'n vegter.” **34** Dawid het toe vir Saul gesê: “U kneg het 'n herder van sy pa se kleinvee geword, en eenkeer het 'n leeu^a 'n skaap uit die trop weggedra. Later het 'n beer dieselfde gedoen. **35** Ek het agter hulle aan gegaan en hulle neergeslaan en die skaap uit hulle bek gered. Toe hulle my wou aanval, het ek hulle aan die keel* gegryp en hulle doodgemaak. **36** U kneg het die leeu sowel as die beer doodgemaak, en hierdie onbesnede Filistyn sal soos hulle word, want hy het die leërmag van die lewende God uitgedaag.”^b **37** Toe het Dawid bygevoeg: “Jehovah, wat my uit die kloue van die leeu en die beer gered het, hy sal my uit die hand van hierdie Filistyn red.”^c Saul het toe vir Dawid gesê: “Gaan, en mag Jehovah met jou wees.”

38 Saul het toe sy uitrusting vir Dawid gegee om aan te trek. Hy het 'n helm van koper op sy kop gesit, en daarna het hy hom 'n pantser* laat aantrek. **39** Toe het Dawid sy swaard oor sy klere vasgemaak, maar toe hy wou loop, kon hy nie, want hy was nie gewoond aan die uitrusting nie. Dawid het vir Saul gesê: “Ek kan nie loop met hierdie goed aan nie, want ek is nie daaraan gewoond nie.” Dawid het dit toe uitgetrek. **40** Toe het hy sy staf in sy hand geneem en vyf gladde klippe uit die rivierbedding* uitgekies en dit in die kantsak van sy herdersak gesit. Daarna het hy na die Filistyn toe gegaan met sy slinger-vel^d in sy hand.

41 Die Filistyn het al hoe nader aan Dawid gekom, en die

17:35 *Lett. “baard”. 17:36 *Of “uit-getart”. 17:38 *'n Beskermende kleidingsstuk wat deur 'n vegter gedra is. 17:40 *Of “wadi”. Sien Wordelys.

man wat sy skild gedra het, was voor hom. **42** Toe die Filistyn Dawid sien, het hy hom uitgelag omdat hy maar net 'n seun was, 'n mooi seun met 'n rooierige voorkoms.^a **43** Toe het die Filistyn vir Dawid gesê: "Is ek 'n hond,^b dat jy met stokke na my toe kom?" En die Filistyn het Dawid in die naam van sy gode vervloek. **44** Die Filistyn het vir Dawid gesê: "Kom hier, en ek sal jou vir die voëls van die hemel en die diere van die veld voer."

45 Dawid het vir die Filistyn gesê: "Jy kom na my toe met 'n swaard, 'n spies en 'n werpspies,^c maar ek kom na jou toe in die naam van Jehovah van die leërmagte,^d die God van die leërmag van Israel, wat jy uitgedaag* het.^e **46** Vandag sal Jehovah jou in my hand gee,^f en ek sal jou doodmaak en jou kop afkap. En op hierdie dag sal ek die lyke van die kamp van die Filistyne aan die voëls van die hemel en aan die wilde diere van die aarde gee. Die hele wêreld sal weet dat daar 'n God in Israel is.^g **47** En almal wat hier is,* sal weet dat Jehovah nie 'n swaard of 'n spies nodig het om te red nie,^h want die geveg behoort aan Jehovah,ⁱ en hy sal julle almal in ons hand gee."^j

48 Toe het die Filistyn al hoe nader aan Dawid gekom, maar Dawid het vinnig na die slagveld gehardloop om die Filistyn te ontmoet. **49** Dawid het sy hand in sy sak gesteek en 'n klip uitgehaal en dit met die slingervel gegooi. Die klip het die Filistyn teen die voorkop getref en in sy voorskop ingegaan, en hy het met sy gesig op die grond neergeval.^k **50** So het Dawid die Filistyn met 'n slingervel en 'n klip oorwin. Hy het die Fili-

17:45 *Of "uitgetart". 17:47 *Lett. "hierdie hele gemeente".

HFST. 17

- a 1Sa 16:12
1Sa 17:33
b 1Sa 24:14
2Sa 16:9
2Kn 8:13
c 1Sa 17:4, 6
d 2Sa 5:10
Heb 11:32-34
e 1Sa 17:10
2Kn 19:22
f De 9:1-3
Jos 10:8
g Eks 9:16
De 28:10
1Kn 8:43
2Kn 19:19
Da 3:29
h Ps 44:6, 7
Sag 4:6
i 2Kr 20:15
Spr 21:31
j De 20:4
k 1Sa 17:37
2Sa 21:22

Tweede kol.

- a Rig 3:31
Rig 15:15, 16
1Sa 17:47
b 1Sa 21:9
c De 28:7
Jos 23:10
Heb 11:32-34
d 1Sa 17:2, 19
e Jos 15:20, 45
f Jos 15:20, 36
g 1Sa 21:9
h 1Sa 14:50
i 1Sa 16:19, 21
j 1Sa 17:54
k Rut 4:22
1Sa 16:1
1Kr 2:13, 15
Mt 1:6
Lu 3:23, 32
Han 13:22
l 1Sa 17:12

HFST. 18

- m 1Sa 14:1, 49
n 1Sa 19:2
1Sa 20:17, 41
2Sa 1:26

styn doodgemaak, al het hy nie 'n swaard gehad nie.^a **51** Dawid het verder gehardloop en oor hom gaan staan. Toe het hy die Filistyn se swaard^b uitgetrek en seker gemaak dat hy dood is deur sy kop daarmee af te kap. Toe die Filistyne sien dat hulle held dood is, het hulle gevlug.^c

52 Toe het die manne van Israel en Juda begin skree en die Filistyne van die vallei^d af tot by die poorte van Ekron^e agternagesit. Die lyke van die Filistyne het oral langs die pad gelê, van Saära'im^f af tot by Gat en Ekron. **53** Toe die Israeliete teruggekeer het, nadat hulle die Filistyne agternagesit het, het hulle hulle kampe gestroop.

54 Toe het Dawid die Filistyn se kop geneem en dit na Jerusalem gebring, maar hy het die Filistyn se wapens in sy eie tent gesit.^g

55 Die oomblik toe Saul Dawid sien uitgaan na die Filistyn toe, het hy vir Abner,^h die hoof van sy leërmag, gevra: "Abner, wie se seun is hierdie jong man?"ⁱ Abner het geantwoord: "So waar as wat u lewe, o koning, ek weet nie!" **56** Die koning het gesê: "Vind uit wie se seun die jong man is." **57** Toe Dawid ná sy oorwinning oor die Filistyn terugkeer, het Abner hom dadelik voor Saul gebring, met die kop van die Filistyn^j in sy hand. **58** Saul het toe vir hom gevra: "Wie se seun is jy, jong man?" Dawid het geantwoord: "Die seun van u kneg Isai,^k die Betlehemiet."^l

18 Nadat Dawid met Saul gepraat het, het Jo'natan^m baie geheg geraak aan Dawid. 'n Hegte vriendskap het tussen hulle ontwikkel, en Jo'natan het net so lief geword vir Dawid soos vir homself.ⁿ **2** Van daardie dag af het Saul Dawid by

hom gehou, en hy het hom nie toegelaat om na sy pa se huis terug te keer nie.^a **3** En Jo'natan en Dawid het 'n verbond gemaak,^b want Jo'natan het hom liefgehad soos homself.^c **4** Jo'natan het sy moulose oorkleed uitgetrek en dit vir Dawid gegee, asook sy uitrusting, sy swaard, sy boog en sy lyfband. **5** Dawid het begin uitgaan om oorlog te voer en was suksesvol^{*d} waar Saul hom ook al gestuur het. Daarom het Saul hom oor die vegters^e aangestel, en die hele volk en die knegte van Saul was bly daarvoor.

6 Wanneer Dawid en die ander van 'n oorwinning oor die Filistyne teruggekeer het, het die vrouens uit al die stede van Israel gekom om koning Saul te ontmoet. Hulle het dan gesingf en gedans, op tamboeryne^g en luite gespeel en vreugdevol uitgeroep. **7** Die vrouens wat die geleentheid gevier het, het gesing:

“Saul het sy duisende verslaan,
en Dawid sy tienduisende.”^h

8 Saul het baie kwaad geword,ⁱ en hy het niks van die lied gehou nie en het gesê: “Hulle sê dat Dawid tienduisende verslaan het, maar hulle sê dat ek duisende verslaan het. Nou moet nog net die koningskapj aan hom gegee word!” **9** Van daardie dag af was Saul agterdoctig teenoor Dawid.

10 Die volgende dag het 'n slegte gees van God oor Saul gekom,^k en hy het vreemd* begin optree in sy huis, terwyl Dawid soos ander kere musiek op die harp^l gespeel het. Saul het 'n spies in sy hand gehad,^m **11** en hy het die spies gegooiⁿ en vir

18:5, 14 *Of “het verstandig opgetree”.
18:10 *Of “soos 'n profeet”.

HFST. 18

- a 1Sa 8:11
- 1Sa 16:22
- 1Sa 17:15
- b 1Sa 20:8, 42
- 1Sa 23:18
- 2Sa 9:1
- 2Sa 21:7
- c Spr 17:17
- Spr 18:24
- d 1Sa 18:30
- e 1Sa 14:52
- f Eks 15:20, 21
- Rig 5:1
- g Rig 11:34
- h 1Sa 21:11
- 1Sa 29:5
- i Ge 4:5
- Spr 14:30
- j 1Sa 13:14
- 1Sa 15:27, 28
- 1Sa 16:13
- 1Sa 20:31
- 1Sa 24:17, 20
- k 1Sa 16:14
- l 1Sa 16:16, 23
- m 1Sa 19:9, 10
- n 1Sa 20:33

Tweede kol.

- a 1Sa 18:28, 29
- b 1Sa 16:14
- c 2Sa 5:2
- d 1Sa 18:5
- e Ge 39:2
- Jos 6:27
- 1Sa 10:7
- 1Sa 16:18
- f 1Sa 14:49
- g 1Sa 17:25
- h 1Sa 25:28
- i 1Sa 18:25
- j 2Sa 7:18
- k 2Sa 21:8
- l 1Sa 14:49
- 1Sa 19:11
- 1Sa 25:44
- 2Sa 3:13
- 2Sa 6:16
- m 1Sa 18:17

homself gesê: ‘Ek gaan Dawid teen die muur vaspen!’ Maar Dawid het twee keer van hom af weggekom. **12** Toe het Saul bang geword vir Dawid omdat Jehovah met Dawid was^a maar hom verlaat het.^b **13** Saul het hom dus weggestuur en hom as hoof oor 1 000 aangestel, en Dawid het die leërmag in hulle oorloë gelei.^{*c} **14** Dawid was suksesvol^{*d} in alles wat hy gedoen het, en Jehovah was met hom.^e **15** En toe Saul sien dat hy baie suksesvol is, het hy vir hom bang geword. **16** Maar die hele Israel en Juda was lief vir Dawid, want hy het hulle in hulle gevegte gelei.

17 Saul het later vir Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter, Merab.^f Ek sal haar vir jou as vrou gee.^g Maar hou aan om my moedig te dien en om die oorloë van Jehovah te voer.”^h Want Saul het vir homself gesê: ‘Dit is beter dat die Filistyne hom doodmaak as dat ek hom doodmaak.’ⁱ **18** Dawid het toe vir Saul gesê: “Wie is ek, en wie is my pa se familie in Israel dat ek die skoonseun van die koning sou word?”^j **19** Maar toe die tyd aanbreek om Saul se dogter Merab aan Dawid te gee, was sy alreeds aan A'driël,^k die Meholatiet, as vrou gegee.

20 Maar Saul se ander dogter, Migal,^l was verlief op Dawid. Saul is daarvan vertel, en hy was bly toe hy dit hoor. **21** Toe het Saul gesê: “Ek sal haar aan hom gee sodat sy vir hom as 'n strik kan dien en sodat die Filistyne hom kan doodmaak.”^m Saul het toe 'n tweede keer vir Dawid gesê: “Jy sal vandag my skoonseun word.”^{*} **22** Saul het ook sy knegte beveel: “Praat

18:13 *Lett. “en hy het voor die volk uitgegaan en ingekom”. **18:21** *Of “'n huweliksverbintenisse met my aangaan”.

in die geheim met Dawid en sê: 'Kyk! Die koning en al sy knegte hou van jou. Trou met die koning se dogter.'" **23** Toe Saul se knegte dit vir Dawid sê, het Dawid geantwoord: "Dink julle dat 'n onbelangrike en arm man soos ek sommer net die koning se skoonseun kan word?"^a **24** Toe het Saul se knegte hom kom vertel wat Dawid gesê het.

25 Saul het toe gesê: "Dit is wat julle vir Dawid moet sê: 'Al wat die koning as bruidsprys^b wil hê, is 100 voorhuide^c van die Filistyne, om wraak te neem op die vyande van die koning.'" Saul se plan was dat Dawid deur die Filistyne doodgemaak moes word. **26** Sy knegte het Dawid dus vertel wat die koning gesê het, en Dawid het ingestem om die koning se skoonseun te word.^d Nog voordat die bepaalde tyd om was, **27** het Dawid saam met sy manne 200 Filistynse manne gaan doodmaak en al die voorhuide na die koning gebring sodat hy die koning se skoonseun kon word. Saul het dus sy dogter Migal aan hom as vrou gegee.^e **28** Saul het besef dat Jehovah met Dawid is^f en dat sy dogter Migal lief is vir Dawid.^g **29** Dit het Saul nog banger gemaak vir Dawid, en Saul was vir die res van sy lewe 'n vyand van Dawid.^h

30 Elke keer wanneer die bevelvoerders van die Filistyne oorlog gaan voer het, was Dawid suksesvoller* as al die knegte van Saul,ⁱ en hy het 'n baie goeie naam gehad.^j

19 Saul het later vir sy seun Jo'natan en al sy knegte gesê dat hy Dawid wil doodmaak.^k **2** Maar omdat Saul se seun Jo'natan lief was vir Da-

18:30 *Of "het Dawid verstandiger opgetree".

HFST. 18

a 1Sa 18:18

b Ge 29:18

c 1Sa 17:26, 36
2Sa 3:14

d 1Sa 18:21

e 1Sa 17:25

f 1Sa 16:13
1Sa 24:17, 20

g 1Sa 18:20

h 1Sa 18:9, 12
1Sa 20:33

i 1Sa 18:5

j 2Sa 7:9

HFST. 19

k 1Sa 18:9
Spr 27:4

Tweede kol.

a 1Sa 18:1
Spr 18:24

b 1Sa 20:9, 13
Spr 17:17

c 1Sa 22:14

d 1Sa 17:49

e 1Sa 20:32

f 1Sa 16:21
1Sa 18:2, 13

g 1Sa 16:14

h 1Sa 18:10, 11

wid,^a het hy vir Dawid gesê: "My pa, Saul, wil jou laat doodmaak. Jy moet môreoggend asseblief baie versigtig wees. Gaan soek 'n skuilplek en kruip daar weg. **3** Ek sal uitgaan en langs my pa in die veld gaan staan waar jy sal wees. Ek sal met my pa oor jou praat, en as ek enigiets uitvind, sal ek jou beslis vertel."^b

4 Jo'natan het dus vir sy pa, Saul, goeie dinge oor Dawid gesê.^c Hy het vir hom gesê: "Die koning moenie teen sy kneg Dawid sondig nie, want hy het nie teen u gesondig nie, en wat hy vir u gedoen het, was voordelig vir u. **5** Hy het sy lewe gewaag om die Filistyn^d dood te maak, en Jehovah het toe 'n groot oorwinning* vir die hele Israel gegee. U het dit gesien, en u was baie bly daaroor. Hoekom sou u dan teen 'n onskuldige man sondig en Dawid sonder rede laat doodmaak?"^e **6** Saul het na Jo'natan geluister, en Saul het gesweer: "So waar as wat Jehovah lewe, hy sal nie doodgemaak word nie." **7** Daarna het Jo'natan Dawid geroep en vir hom alles vertel. Toe het Jo'natan Dawid na Saul toe gebring, en hy het hom ge-dien soos voorheen.^f

8 Ná verloop van tyd het daar weer oorlog uitgebreek, en Dawid het teen die Filistyne gaan veg en hulle met 'n groot slagting doodgemaak, en hulle het voor hom gevlug.

9 En 'n slegte gees van Jehovah het oor Saul gekom^g toe hy in sy huis met sy spies in sy hand gesit het terwyl Dawid op die harp gespeel het.^h **10** Saul het Dawid met die spies teen die muur probeer vaspen, maar hy het van Saul af weggekome, en die spies het in die muur vasge-

19:5 *Of "redding".

steek. Dawid het daardie nag gevlug. **11** Saul het later manne na Dawid se huis gestuur om dit dop te hou en om Dawid in die oggend dood te maak,^a maar Dawid se vrou Migal het vir hom gesê: “As jy nie vanaand vlug nie, sal jy môre dood wees.” **12** Migal het Dawid onmiddellik deur die venster laat afsak sodat hy kon ontsnap. **13** Migal het die terafim-beeld* geneem en dit op die bed gesit, en sy het ’n net van bokhaar op die plek gesit waar sy kop sou wees, en sy het dit met ’n kleed toegemaak.

14 Saul het toe manne gestuur om Dawid te gaan haal, maar sy het gesê: “Hy is siek.” **15** Toe het Saul die manne teruggestuur om Dawid te sien en vir hulle gesê: “Bring hom met bed en al na my toe, sodat ek hom kan laat doodmaak.”^b **16** Toe die manne inkom, was die terafim-beeld* op die bed en ’n net van bokhaar op die plek waar sy kop sou wees. **17** Saul het vir Migal gevra: “Hoekom het jy my so bedrieg en my vyand^c laat wegkom?” Migal het vir Saul gesê: “Hy het vir my gesê: ‘Laat my gaan, anders maak ek jou dood!’”

18 Intussen het Dawid gevlug en by Samuel in Rama^d aangekom. Hy het hom alles vertel wat Saul aan hom gedoen het. Toe het hy en Samuel na Najot gegaan en daar gebly.^e **19** Ná verloop van tyd het Saul gehoor dat Dawid in Najot in Rama is. **20** Saul het dadelik manne gestuur om Dawid te gaan haal. Toe hulle sien hoe die ouer profete onder Samuel se leiding profeteer, het die gees van God oor Saul se manne gekom, en hulle het hulle ook soos profete begin gedra.

19:13, 16 *Of “huisgod; afgod”.

HFST. 19
a Ps 59:Ops. 3

b 1Sa 18:9

c 1Sa 18:29

d 1Sa 7:15, 17

e 1Sa 20:1

Tweede kol.

a 1Sa 19:18

b 1Sa 10:11

HFST. 20

c 1Sa 24:11
Ps 18:20

d 1Sa 19:6

e 1Sa 18:1
1Sa 19:2

f 1Sa 27:1

21 Toe hulle Saul daarvan vertel, het hy onmiddellik ander manne gestuur, en hulle het hulle ook soos profete begin gedra. Daarom het Saul ’n derde groep manne gestuur, en hulle het hulle ook soos profete begin gedra. **22** Uiteindelik het hy ook na Rama gegaan. Toe hy by die groot reënput in Segu kom, het hy gevra: “Waar is Samuel en Dawid?” Hulle het geantwoord: “Daar in Najot^a in Rama.” **23** Toe Saul op pad was na Najot in Rama, het die gees van God ook oor hom gekom, en terwyl hy gestap het, het hy hom al die pad soontoe soos ’n profeet gedra. **24** Hy het ook sy klere uitgetrek en hom soos ’n profeet voor Samuel gedra, en hy het die hele dag en die hele nag kaal* daar gelê. Daarom sê hulle: “Is Saul ook een van die profete?”^b

20 Dawid het toe uit Najot in Rama gevlug. Hy het na Jo’natan toe gegaan en gevra: “Wat het ek gedoen?^c Wat het ek aan jou pa gedoen, en hoe het ek teen hom gesondig dat hy my lewe wil neem?” **2** Toe het Jo’natan vir hom gesê: “Dit sal nie gebeur nie!^d Jy sal nie sterf nie. My pa sal niks doen sonder om my daarvan te vertel nie, of dit nou iets groots of iets kleins is. Hoekom sou my pa my nie hiervan vertel nie? Dit sal nooit gebeur nie.” **3** Maar Dawid het verder gesê: “Jou pa weet dat jy my vriend is,^e en hy sou gesê het: ‘Jo’natan mag nie hiervan weet nie, anders sal hy ontsteld wees.’ Maar so waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat jy lewe, daar is net ’n tree tussen my en die dood!”^f

4 Toe het Jo’natan vir Dawid gesê: “Ek sal enigiets doen wat

19:24 *Of “in sy onderklere”.

jy van my vra.” **5** Dawid het gesê: “Môre is dit nuwemaan,^a en daar word verwag dat ek saam met die koning aan tafel moet eet. Laat my asseblief weggaan. Dan sal ek tot oormôre* in die veld wegkruip. **6** As jou pa wonder waar ek is, moet jy sê: ‘Dawid het my gesmeek vir toestemming om gou na sy stad, Betlehem,^b te gaan, want hulle het ’n jaarlikse offerande daar vir die hele familie.’^c **7** As hy antwoord: ‘Dit is goed,’ beteken dit vrede vir jou kneg. Maar as hy kwaad word, moet jy weet dat hy vasbeslote is om iets slegs aan my te doen. **8** Betoon lojale liefde aan my,^{*d} want jy het voor Jehovah ’n verbond met my gemaak.^e Maar as ek skuldig is,^f moet jy my self doodmaak. Hoekom sou jy my aan jou pa oorlewer?”

9 Maar Jo’natan het gesê: “Moenie so iets sê nie! As ek uitvind dat my pa vasbeslote is om iets slegs aan jou te doen, sal ek jou mos daarvan vertel.”^g **10** Toe het Dawid vir Jo’natan gevra: “Wie sal vir my sê as jou pa kwaad word?” **11** Jo’natan het vir Dawid gesê: “Kom ons gaan uit veld toe.” Toe het hulle twee in die veld uitgegaan. **12** En Jo’natan het vir Dawid gesê: “Jehovah, die God van Israel, is my getuie dat ek omtrent hierdie tyd môre of oormôre met my pa sal praat. As hy goedgesind is teenoor jou, sal ek vir jou ’n boodskap stuur om jou te laat weet. **13** Maar as my pa iets slegs aan jou wil doen en ek jou nie daarvan laat weet en jou in vrede laat gaan nie, laat Jehovah my dan swaar straf.* Mag Jehovah met jou wees,^h net

20:5 *Of “tot die aand van die derde dag”. 20:8 *Lett. “jou kneg”. 20:13 *Lett. “dan so aan my doen en daarby voeg”.

HFST. 20

a Nu 10:10
2Kr 2:4

b 1Sa 16:4, 18

c 1Sa 20:28, 29

d Spr 17:17

e 1Sa 18:3
1Sa 23:18

f 1Sa 20:1

g 1Sa 19:2

h 1Sa 16:13
1Sa 17:37

Tweede kol.

a 1Sa 10:7
1Sa 11:6b 2Sa 9:1, 3
2Sa 9:6, 7

c 2Sa 21:7

d 1Sa 18:1, 3
2Sa 1:26
Spr 18:24

e 1Sa 20:5

f 1Sa 20:42

g 1Sa 20:13, 14

h 1Sa 20:5

i 1Sa 14:50

soos hy met my pa was.^a **14** Ek weet dat jy gedurende my lewe en selfs as ek sterf die lojale liefde van Jehovah aan my sal betoon.^b **15** Hou aan om lojale liefde aan my en my familie te betoon,^c selfs wanneer Jehovah al jou vyande van die oppervlak van die aarde af uitroei.” **16** Jo’natan het dus ’n verbond met die huis van Dawid gemaak en gesê: “Jehovah sal Dawid se vyande straf.” **17** Jo’natan het Dawid weer laat sweer by sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos homself.^d

18 Jo’natan het toe vir hom gesê: “Môre is dit nuwemaan,^e en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees. **19** Oormôre sal jy nog meer gemis word, en jy moet na die plek gaan waar jy nou die dag* weggekruip het, en jy moet naby hierdie klip wag. **20** Ek sal dan drie pyle aan die een kant daarvan skiet, asof ek op ’n teiken skiet. **21** Daarna sal ek die dienaar stuur om na die pyle te gaan soek. As ek vir hom sê: ‘Kyk! Die pyle is langs jou. Gaan haal dit,’ dan kan jy maar terugkom, want dit beteken dat jy veilig is en dat daar geen gevaar is nie, so waar as wat Jehovah lewe. **22** Maar as ek vir die jong man sê: ‘Kyk! Die pyle is verder van jou af,’ dan moet jy gaan, want Jehovah het jou weggestuur. **23** En Jehovah sal vir ewig ’n getuie wees^f van die belofte wat ek en jy aan mekaar gemaak het.”^g

24 Dawid het toe in die veld gaan wegkruip. Toe dit nuwemaan was, het die koning aan tafel gaan sit om te eet.^h **25** Die koning het op sy gewone plek by die muur gesit. Jo’natan was oorkant hom, en Abnerⁱ het

20:19 *Lett. “op die werksdag”.

langs Saul gesit, maar Dawid se plek was leeg. **26** Op daardie dag het Saul niks gesê nie, want hy het vir homself gesê: 'Iets het gebeur wat hom onrein gemaak het.^a Ja, hy is seker onrein.' **27** En die dag ná die nuwemaan, op die tweede dag, was Dawid se plek nog steeds leeg. Toe het Saul vir sy seun Jo'natan gevra: "Hoekom het die seun van Isai^b nie gister of vandag na die ete toe gekom nie?" **28** Jo'natan het Saul geantwoord: "Dawid het my gesmeek vir toestemming om Betlehem toe te gaan.^c **29** Hy het gesê: 'Gee my asseblief toestemming om te gaan, want ons het 'n familieofferande in die stad, en my broer het vir my gesê dat ek moet kom. Laat my toe om weg te glip sodat ek my broers kan besoek.' Dit is hoekom hy nie na die koning se tafel gekom het nie." **30** Toe het Saul woedend geword vir Jo'natan en vir hom gesê: "Jou seun van 'n opstandige vrou, dink jy ek weet nie dat jy die seun van Isai se kant kies nie? Jy bring skande oor jouself en oor jou ma! **31** Solank as wat die seun van Isai op die aarde is, sal nie jy of jou koningskap veilig wees nie.^d Stuur onmiddellik iemand om hom na my toe te bring, want hy moet sterf."^e

32 Maar Jo'natan het vir sy pa gevra: "Hoekom moet hy doodgemaak word?^f Wat het hy gedoen?" **33** Toe het Saul die spies na hom toe gegooi,^g en Jo'natan het besef dat sy pa vasbeslote is om Dawid dood te maak.^h **34** Onmiddellik het Jo'natan woedend van die tafel af opgestaan, en op die tweede dag ná die nuwemaan het hy niks geëet nie omdat hy ontsteld was oor Dawidⁱ en omdat sy eie pa hom verneder het.

HFST. 20

a Le 11:23, 24
Le 15:4, 5
Le 15:16, 18
Nu 19:16

b 1Sa 17:12

c 1Sa 20:6

d 1Sa 18:8

e 1Sa 19:6, 10

f 1Sa 19:5
Spr 17:17
Spr 18:24

g 1Sa 18:11
1Sa 19:10

h 1Sa 20:6, 7

i 1Sa 18:1

Tweede kol.

a 1Sa 20:19-22

b 1Sa 20:17, 23

c 1Sa 23:18
2Sa 9:7

HFST. 21

d 1Sa 22:9, 19

e 1Sa 18:13

35 In die oggend het Jo'natan na die veld uitgegaan soos hy en Dawid afgespreek het, en 'n jong dienaar was by hom.^a

36 Hy het vir sy dienaar gesê: "Hardloop asseblief en vind die pyle wat ek skiet." Die dienaar het gehardloop, en Jo'natan het die pyl verby hom geskiet. **37** Toe die dienaar by die plek kom waar die pyl geland het, het Jo'natan agter die dienaar aan geroep: "Is die pyl nie verder van jou af nie? **38** Maak gou! Moenie stilstaan nie!" En Jo'natan se dienaar het die pyle opgetel en teruggekom na sy heer toe. **39** Die dienaar het van niks gewete nie. Net Jo'natan en Dawid het gewete waar-oor dit alles gaan. **40** Daarna het Jo'natan sy wapens vir sy dienaar gegee en vir hom gesê: "Gaan, neem dit na die stad."

41 Toe die dienaar daar weg is, het Dawid uit sy wegkruip-plek gekom, wat daar naby aan die suidekant was. Toe het hy op sy knieë geval en drie keer neergebuig met sy gesig na die grond toe, en hulle het mekaar gesoen en saam gehuil, maar Dawid het die meeste gehuil. **42** Jo'natan het vir Dawid gesê: "Gaan in vrede, want ons twee het in die naam van Jehovah gesweer:^b 'Mag Jehovah vir ewig 'n getuie wees tussen my en jou en tussen my nageslag^a en jou nageslag.'^c

Toe het Dawid vertrek, en Jo'natan het na die stad teruggegaan.

21 Later het Dawid in Nob^d by die priester Ahime'leg gekom. Ahime'leg was bang toe hy uitgaan om Dawid te groet, en hy het vir hom gevra: "Hoekom is jy alleen? Hoekom is daar niemand by jou nie?"^e **2** Dawid

20:42 *Lett. "saad".

het geantwoord: "Die koning het vir my 'n opdrag gegee, maar hy het gesê: 'Moet niemand van die opdrag vertel nie en hou my instruksies geheim.' Ek het met my jong manne afgespreek om hulle op 'n sekere plek te ontmoet. **3** As u vyf brode het, gee dit asseblief vir my, of enigiets wat daar is." **4** Maar die priester het vir Dawid gesê: "Ek het nie enige gewone brood nie, maar daar is heilige brood^a – op die voorwaarde dat die jong manne nie by vrouens geslaap het nie."^b **5** Dawid het geantwoord: "Net soos vorige kere toe ons gaan oorlog voer het, het ons beslis nie by vrouens geslaap nie."^c As die jong manne vir gewone opdragte heilig gebly het, hoeveel te meer moet hulle vandag heilig wees!" **6** Toe het die priester die heilige brode vir hom gegee,^d want daar was geen ander brood behalwe die offerbrode wat voor Jehovah weggeneem is en op dieselfde dag met vars brood vervang is nie.

7 Op daardie dag was een van Saul se knegte daar, en hy moes die dag daar voor Jehovah deurbring. Sy naam was Doëg,^e die Edomiet,^f en hy het toegig gehou oor Saul se herders.

8 Dawid het toe vir Ahimeleg gesê: "Is daar miskien 'n spies of 'n swaard hier? Ek het nie my eie swaard of wapens saamgebring nie, want die koning se opdrag was dringend."

9 Die priester het geantwoord: "Die swaard van Go'liat,^g die Filistyn wat jy in die Ela-vallei^h doodgemaak het, is hier agter die efofⁱ in 'n lap toegedraai. As jy dit wil neem, kan jy dit neem, want dit is die enigste een hier." Dawid het gesê: "Dit is die beste swaard wat daar is. Gee dit asseblief vir my."

HFST. 21

a Eks 25:30
Le 24:5, 9
Mt 12:3, 4b Eks 19:15
Le 15:16
2Sa 11:11

c Le 15:18

d Le 24:7-9
Mr 2:25, 26
Lu 6:3, 4e 1Sa 22:9
Ps 52:Ops

f Ge 36:1

g 1Sa 17:51, 54

h 1Sa 17:2, 50

i Eks 28:6

Tweede kol.

a 1Sa 27:1

b Jos 11:22
1Sa 5:8
1Sa 17:4
1Sa 27:2
Ps 56:Opsc 1Sa 18:6-8
1Sa 29:4, 5

d Ps 56:3, 6

e Ps 34:Ops

HFST. 22

f 1Sa 21:10

g Jos 15:20, 35
2Sa 23:13
Ps 34:19
Ps 56:13h Rut 4:10, 17
1Sa 14:47

10 Op daardie dag het Dawid verder van Saul af weggevlug,^a en hy het uiteindelik by koning Agis van die stad Gat gekom.^b

11 Agis se knegte het vir hom gesê: "Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Hy is mos die een van wie hulle gesing het terwyl hulle gedans het. Hulle het mos gesing:

'Saul het sy duisende
verslaan,
en Dawid sy tienduisende.'^c

12 Dawid het hierdie woorde gehoor^d en het baie bang geword^e vir koning Agis van die stad Gat. **13** Daarom het hy gemaak asof hy gek is^e en hom soos 'n mal mens voor hulle^f gedra. Hy het merke op die deure van die poort gemaak en sy kwyf in sy baard laat afloop.

14 Uiteindelik het Agis vir sy knegte gesê: "Julle kan mos sien dat hierdie man mal is! Hoekom bring julle hom na my toe?" **15** Het ek nie genoeg mal mense nie? Nou bring julle nog een na my toe om voor my te kere te gaan! Hoekom moet ek toelaat dat hierdie man in my huis inkom?"

22 Dawid het toe vertrek^f en na die grot van Adul'lam^g gevlug. Toe sy broers en die hele huis van sy pa daarvan hoor, het hulle na hom toe gegaan. **2** En almal wat in die moeilikheid of in die skuld of verbitterd was, het by hom aansluit, en hy het hulle hoof geword. Daar was ongeveer 400 manne by hom.

3 Later het Dawid van daar af na Mispé in Moab gegaan en vir die koning van Moab^h gesê: "Laat my pa en ma asseblief by julle woon totdat ek weet wat God vir my sal doen." **4** Dawid

21:12 *Lett. "ter harte geneem".
21:13 *Lett. "in hulle hand".

het hulle dus na die koning van Moab gebring, en hulle het daar by hom gebly die hele tyd toe hy in die skuilplek in die berge was.^a

5 Later het die profeet Gad^b vir Dawid gesê: “Moenie in die skuilplek bly nie. Gaan na die land van Juda.”^c Dawid het dus vertrek en na die Heret-woud gegaan.

6 Saul het gehoor dat Dawid en sy manne gevind is. Op daardie oomblik het Saul onder die tamariskboom op die heuwel in Gi'bea^d met sy spies in sy hand gesit, en al sy knegte het om hom gestaan. **7** Toe het Saul vir sy knegte om hom gesê: “Luister asseblief, Benjamine. Sal die seun van Isai^e ook vir elkeen van julle landerije en wingerde gee? Sal hy julle almal as hoofde oor 1000 en hoofde oor 100 aanstel?”^f **8** Julie het almal teen my saamgesweer! Niemand het vir my gesê toe my eie seun met die seun van Isai^g 'n verbond gemaak het nie! Nie een van julle voel jammer vir my en sê vir my dat my eie seun my kneg teen my opgestook het om my aan te val nie.”

9 Doëg,^h die Edomiet, wat oor die knegte van Saul aangesetel was, het toe geantwoord: “Ek het die seun van Isai in Nob gesien by Ahime'leg, die seun van Ahi'tub.^j **10** En hy het Jehovah vir hom geraadpleeg en vir hom padkos gegee. Hy het selfs vir hom die swaard van Go'liat, die Filistyn,^k gegee.” **11** Die koning het Ahime'leg, die seun van die priester Ahi'tub, en al die priesters van die huis van sy pa, wat in Nob was, dadelik laat roep. Daarom het hulle almal na die koning toe gekom.

12 Saul het toe gesê: “Luister asseblief, seun van Ahi'tub!”

HFST. 22

a 1Sa 22:1

b 2Sa 24:11, 12
1Kr 21:9, 10
1Kr 29:29
2Kr 29:25

c 1Sa 23:3

d 1Sa 10:26

e Rut 4:22

f 1Sa 8:11, 12

g 1Sa 18:3
1Sa 20:17

h 1Sa 21:1, 7
Ps 52:Ops

i Ps 52:2, 3

j 1Sa 14:3
1Sa 22:20

k 1Sa 21:6, 9

Tweede kol.

a 1Sa 19:4
1Sa 20:32
1Sa 24:11
1Sa 26:23

b 1Sa 17:25
1Sa 18:27

c 1Sa 18:5, 13

d 1Sa 22:10

e 1Sa 21:1, 2

f 1Sa 2:27, 32

g 1Sa 14:44
1Sa 20:31

h Ps 52:Ops

i Ge 25:30

j 1Sa 2:27, 31

k 1Sa 21:1
1Sa 22:9

Toe het Ahime'leg geantwoord: “Hier is ek, my heer.” **13** Saul het vir hom gesê: “Hoekom het jy en die seun van Isai teen my saamgesweer? Jy het vir hom brood en 'n swaard gegee en God vir hom geraadpleeg. Hy het teen my in opstand gekom en wil my aanval.” **14** Ahime'leg het die koning geantwoord: “Wie van u knegte is so betroubaar* soos Dawid?^a Hy is die koning se skoonseun^b en die hoof van u lyfwag, en hy is geëerd in u huis.^c **15** Dit was tog nie die eerste keer dat ek God vir hom geraadpleeg het nie.^d Wat u sê, het nie eers by my opgekom nie! My heer die koning, moet my en die hele huis van my pa asseblief nie beskuldig nie, want u kneg het niks hiervan geweet nie.”^e

16 Maar die koning het gesê: “Jy en die hele huis van jou pa^f sal beslis sterf,^g Ahime'leg.” **17** Toe het die koning vir die wagte* om hom gesê: “Maak die priesters van Jehovah dood, want hulle is aan Dawid se kant! Hulle het geweet dat hy 'n vlugteling is, maar hulle het my nie vertel nie!” Maar die koning se knegte wou nie hulle hand lig om die priesters van Jehovah aan te val nie. **18** Die koning het toe vir Doëg^h gesê: “Doen jy dit dan. Val die priesters aan!” Onmiddellik het Doëg, die Edomiet,ⁱ die priesters aangeval. Op daardie dag het hy 85 manne doodgemaak wat die linnefod^j dra. **19** Hy het ook alles en almal in Nob,^k die stad van die priesters, met die swaard doodgemaak: man sowel as vrou, kind sowel as baba, bul, donkie en skaap.

20 Maar een van die seuns van Ahime'leg, die seun van

22:14 *Of “getrou”. 22:17 *Lett. “hardlopers”.

Ahi'tub, wie se naam Abja'tar^a was, het ontsnap. Hy het na Dawid gevlug en by hom aangesluit. **21** Abja'tar het vir Dawid gesê: "Saul het die priesters van Jehovah doodgemaak." **22** Toe het Dawid vir Abja'tar gesê: "Die oomblik toe ek Doëg, die Edomiet, daar sien, het ek geweet^b dat hy Saul sou gaan vertel. Ek is persoonlik verantwoordelik vir die dood van almal* in jou pa se huis. **23** Bly by my. Moenie bang wees nie, want enigiemand wat jou lewe wil neem, wil my lewe neem. Jy is onder my beskerming."^c

23 Ná verloop van tyd is daar vir Dawid gesê: "Die Filistyne het Kehi'la^d aangeval, en hulle vat die graan op die dorsvloere." **2** Dawid het Jehovah dus geraadpleeg en gevra:^e "Moet ek hierdie Filistyne gaan verslaan?" Jehovah het vir Dawid gesê: "Gaan verslaan die Filistyne en red Kehi'la." **3** Maar Dawid se manne het vir hom gesê: "Kyk! Ons is al klaar bang hier in Juda.^f Dink net hoe bang ons sal wees as ons na Kehi'la gaan om teen die leërmag van die Filistyne te veg!"^g **4** Daarom het Dawid Jehovah weer geraadpleeg.^h Jehovah het toe vir hom gesê: "Staan op. Gaan na Kehi'la, want ek sal die Filistyne in jou hand gee."ⁱ **5** Dawid en sy manne het dus na Kehi'la gegaan en teen die Filistyne geveg. Hy het hulle vee geneem en hulle met 'n groot slagting doodgemaak, en Dawid het die inwoners van Kehi'la^j gered.

6 Toe Abja'tar,^k die seun van Ahime'leg, na Dawid in Kehi'la gevlug het, het hy 'n efof by hom gehad. **7** Saul het gehoor dat Dawid na Kehi'la gegaan het. Toe het Saul gesê: "God het

22:22 *Of "elke siel".

HFST. 22

a 1Sa 23:6
1Sa 30:7
2Sa 20:25
1Kn 2:27

b 1Sa 21:1, 7

c 1Kn 2:26

HFST. 23

d Jos 15:20, 44

e 1Sa 30:8
2Sa 5:19
Ps 37:5

f 1Sa 22:5

g 1Sa 13:5
1Sa 14:52

h Rlg 6:39

i 1Sa 14:6
2Sa 5:19

j 1Sa 23:1

k 1Sa 22:20

Tweede kol.

a 1Sa 23:14

b Nu 27:21
1Sa 30:7

c 1Sa 22:19

d 1Sa 22:1, 2
1Sa 25:13
1Sa 30:9

e Jos 15:20, 55
1Sa 23:19
1Sa 26:1

f 1Sa 18:29
1Sa 20:33
1Sa 27:1

hom aan my oorgelewer."^a want nou is hy vasgekeer in 'n stad met deure en grendels." **8** Toe het Saul al die manne byme-kaargerloop om oorlog te voer en na Kehi'la te gaan en Dawid en sy manne vas te keer. **9** Toe Dawid uitvind dat Saul slinkse planne teen hom beraam, het hy vir die priester Abja'tar gesê: "Bring asseblief die efof hier."^b **10** Toe het Dawid gesê: "O Jehovah, die God van Israel, u kneg het gehoor dat Saul beplan om na Kehi'la toe te kom om die stad te vernietig omdat ek hier is.^c **11** Sal die leiers* van Kehi'la my aan hom oorlewer? Sal Saul regtig hierheen kom, net soos u kneg gehoor het? O Jehovah, die God van Israel, sê asseblief vir u kneg." Toe het Jehovah gesê: "Hy sal kom." **12** Dawid het gevra: "Sal die leiers van Kehi'la my en my manne aan Saul oorlewer?" Jehovah het geantwoord: "Hulle sal julle oorlewer."

13 Onmiddellik het Dawid en sy manne, ongeveer 600^d van hulle, Kehi'la verlaat en van plek tot plek rondgetrek. Toe Saul hoor dat Dawid uit Kehi'la ontsnap het, het hy hom nie agternagesit nie. **14** Dawid het in die wildernis gaan bly in plekke wat moeilik is om te bereik, in die bergstreek van die wildernis van Sif.^e Saul het heeltyd na hom gesoek,^f maar Jehovah het hom nie in Saul se hand gegee nie. **15** Toe Dawid in die wildernis van Sif in Hores was, het hy geweet dat* Saul op pad was om hom dood te maak.

16 Jo'natan, die seun van Saul, het na Dawid in Hores gegaan en hom gehelp om sy ver-

23:7 *Lett. "in my hand verkoop".

23:11 *Of moontlik "grondeienaars".

23:15 *Of moontlik "was hy bang omdat".

troue* in Jehovah te versterk.^a **17** Hy het vir hom gesê: “Moenie bang wees nie, want my pa, Saul, sal jou nie vind nie. Jy sal koning oor Israel wees,^b en ek sal tweede onder jou wees, en my pa weet dit ook.”^c **18** Toe het hulle twee voor Jehovah ’n verbond gemaak,^d en Dawid het in Hores gebly, en Jo’natan het na sy huis gegaan.

19 Later het die manne van Sif na Saul in Gi’bea^e gegaan en gesê: “Dawid kruip hier naby ons weg^f in die plekke wat moeilik is om te bereik in Hores,^g op die heuwel Hagi’la,^h suid* van Je’simon.”ⁱ **20** As u wil, o koning, kom dan na ons toe, en ons sal hom aan u oorlewer.”^j **21** Toe het Saul gesê: “Mag Jehovah julle seën, want julle verstaan wat ek deurmaak. **22** Probeer asseblief uitvind presies waar hy is en wie hom daar gesien het, want ek het gehoor dat hy baie slinks is. **23** Maak seker dat julle al sy skuilplekke vind, en kom terug na my toe met bewyse. Dan sal ek saam met julle gaan, en as hy in die land is, sal ek hom opspoor tussen al die familie-groepe* van Juda.”

24 Toe het hulle vertrek en voor Saul na Sif^k gegaan, terwyl Dawid en sy manne in die wildernis van Maon^l was, in die A’raba,^m suid van Je’simon. **25** Toe het Saul met sy manne gekom om na hom te soek.ⁿ Toe Dawid daarvan uitvind, het hy dadelik na die groot rots^o gegaan en in die wildernis van Maon gebly. Toe Saul daarvan hoor, het hy Dawid in die wildernis van Maon agternagesit. **26** Terwyl Saul aan die een

23:16 *Lett. “hand”. **23:19** *Lett. “regs”. ^aOf moontlik “die woestyn; die wildernis”. **23:23** *Of “duisende”.

HFST. 23

- a Ps 37:5
Spr 17:17
b 1Sa 16:13
2Sa 2:4
2Sa 5:3
c 1Sa 20:31
1Sa 24:17, 20
d 1Sa 18:3
1Sa 20:42
e 1Sa 10:26
f 1Sa 26:1
Ps 54:Ops
g 1Sa 23:15
h 1Sa 26:3
i 1Sa 23:24
j Ps 54:3
k 1Sa 23:14
l Jos 15:20, 55
1Sa 25:2, 3
m De 1:7
n 1Sa 26:2
Ps 54:3
o 1Sa 23:28

Tweede kol.

- a Ps 31:22
b Ps 17:9
c Ps 54:7
d Jos 15:20, 62
Hgl 1:14
HFST. 24
e 1Sa 23:28, 29
f Ps 57:Ops
Ps 142:Ops

- g 1Sa 26:8, 23
h 2Sa 24:10

kant van die berg was, was Dawid en sy manne aan die ander kant van die berg. Dawid het probeer om so gou as moontlik van Saul af weg te kom,^a maar Saul en sy manne het al hoe nader gekom en was op die punt om Dawid en sy manne te vang.^b **27** Maar ’n boodskapper het na Saul toe gekom en gesê: “Maak gou, want die Filistyne het die land binnegeval!” **28** Saul het toe opgehou om Dawid agterna te sit^c en het teen die Filistyne opgetrek. Daarom is daardie plek die Groot Rots van die Skeidings genoem.

29 Toe het Dawid daarvan weggetrek en in En-Gedi^d gaan woon in die plekke wat moeilik is om te bereik.

24 Toe Saul terugkeer nadat hy die Filistyne agternagesit het, het hy gehoor dat Dawid in die wildernis van En-Gedi^e is.

2 Toe het Saul 3 000 van die beste vegters uit die hele Israel saamgeneem om na Dawid en sy manne te gaan soek op die rotsagtige kranse van die bergbokke. **3** Saul het by die skaapkrale* langs die pad gekom, waar daar ’n grot was, en hy het ingegaan om sy behoefte te doen,^f terwyl Dawid en sy manne heel agter in die grot^g gesit het. **4** Dawid se manne het vir hom gesê: “Vandag is die dag waarop Jehovah vir u sê: ‘Ek lewer jou vyand aan jou oor,^g en jy kan met hom doen wat jy ook al wil.’” Toe het Dawid opgestaan en stilletjies ’n stuk van Saul se moulose oor-kleed afgesny. **5** Maar agterna het Dawid se hart* hom veroordeel^h omdat hy ’n stuk van

24:3 *Of “klipskaapkrale”. ^aLett. “om sy voete te bedek”. **24:5** *Of “gewete”.

Saul se moulose oorkleed afgesny het. **6** Hy het vir sy manne gesê: "Omdat ek weet hoe Jehovah daarvoor voel, sal ek nie eers daaraan dink om my hand te lig vir my heer, die gesalfde van Jehovah nie, want hy is die gesalfde van Jehovah."^a **7** Met hierdie woorde het Dawid sy manne gekeer,* en hy het hulle nie toegelaat om Saul aan te val nie. Intussen het Saul die grot verlaat en verder gegaan.

8 Toe het Dawid opgestaan en die grot verlaat en agter Saul aan uitgeroep: "My heer die koning!"^b Toe Saul omkyk, het Dawid gekniel en met sy gesig na die grond toe neergebui. **9** Dawid het vir Saul gesê: "Hoekom luister u na mensse wat sê: 'Dawid wil iets slegs aan u doen?'"^c **10** Vandag het u self gesien hoe Jehovah u in die grot in my hand gegee het. Maar toe iemand sê dat ek u moet doodmaak,^d het ek vir u jammer gevoel en gesê: 'Ek sal nie my hand vir my heer lig nie, want hy is die gesalfde van Jehovah.'^e **11** Kyk, my vader, ek het 'n stuk van u moulose oorkleed in my hand. Toe ek dit afgesny het, het ek u nie doodgemaak nie. U kan dus duidelik sien en besef dat ek niks slegs aan u wil doen of teen u in opstand wil kom nie. En ek het nie teen u gesondig nie,^f maar u jaag my en wil my lewe neem.^g **12** Mag Jehovah tussen my en u oordeel,^h en mag Jehovah vir my wraak neem op u,ⁱ maar ek sal nie my hand vir u lig nie.^j **13** Net soos die ou spreekwoord sê: 'Van goddelose mensse kom goddelose dade.' Maar ek sal niks slegs aan u doen nie. **14** Vir wie wil die koning van Israel nou eintlik vang? Wie

24:7 *Of moontlik "verstrooi".

HFST. 24

a Eks 22:28
1Sa 26:11
2Sa 1:14
1Kr 16:22

b 1Sa 26:17

c 1Sa 26:19

d 1Sa 24:4

e 1Sa 9:16
1Sa 10:1
1Sa 26:9
Ps 105:15

f 1Sa 26:18
Ps 35:7

g 1Sa 23:14

h 1Sa 26:23

i De 32:35

j 1Sa 26:11

Tweede kol.

a 1Sa 26:20

b 1Sa 25:39
Ps 35:1

c 1Sa 26:17

d 1Sa 26:21

e 1Sa 24:4, 10

f 1Sa 26:25
Ps 18:20

g 1Sa 13:14
1Sa 15:28
1Sa 18:8
1Sa 20:31
1Sa 23:17

h Le 19:12
De 6:13

i 2Sa 9:1
2Sa 21:7

j 1Sa 15:34

k 1Sa 23:29

HFST. 25

l 1Sa 1:20
1Sa 2:18
1Sa 3:20
Ps 99:6

m 1Sa 7:15, 17

n 1Sa 23:24

o Jos 15:20, 55

sit u agterna? 'n Dooie hond? 'n Enkele vlooi?^a **15** Mag Jehovah as regter tussen my en u oordeel. Hy sal my saak ondersoek en verdedig.^b Hy sal my oordeel en my uit u hand red."

16 Nadat Dawid hierdie dinge gesê het, het Saul gesê: "Is dit jou stem, my seun Dawid?"^c En Saul het in trane uitgebars. **17** Hy het vir Dawid gesê: "Jy is regverdiger as ek, want jy het my goed behandel, maar ek het jou terugbetaal met wat sleg is.^d **18** Ja, vandag het jy my vertel van die goedheid wat jy aan my betoon het deur my nie dood te maak toe Jehovah my in jou hand gegee het nie.^e **19** Want watter man laat sy vyand gaan as hy hom in die hande kry? Jehovah sal jou beloon^f vir wat jy vandag vir my gedoen het. **20** Ek weet dat jy vir seker as koning sal regeer^g en dat die koninkryk van Israel in jou hande sal bly. **21** Sweer dan nou vir my by Jehovah^h dat jy nie my nakomelinge* sal doodmaak nie en dat jy nie my naam uit die huis van my vader sal uitwis nie."ⁱ **22** Toe het Dawid vir Saul gesweer, en daarna het Saul huis toe gegaan.^j Maar Dawid en sy manne het na hulle skuilplek toe gegaan.^k

25 Ná verloop van tyd het Samuel^l gesterf. Die hele Israel het bymekaargekom om oor hom te treur en hom by sy huis in Rama^m te begrawe. Toe het Dawid na die wildernis Paran gegaan.

2 In Maonⁿ was daar 'n baie ryk man wat vee in Karmel^o gehad het. Hy het 3 000 skape en 1 000 bokke gehad, en hy was besig om sy skape in Karmel te skeer. **3** Die man se naam was

24:21 *Let. "saad". 25:2 *'n Stad in Juda; nie die berg Karmel nie.

Nabal,^a en sy vrou se naam was Abi'gail.^b Die vrou was verstandig en pragtig, maar haar man, 'n Kalebiet,^c was wreed en onbeskof.^d **4** Dawid het in die wildernis gehoor dat Nabal sy skape skeer. **5** Toe het Dawid tien jong manne na hom toe gestuur en vir hulle gesê: "Gaan na Nabal toe in Karmel, en vra hom namens my hoe dit met hom gaan. **6** Dan moet julle sê: 'Mag u lank lewe en mag dit met u goed gaan,* en mag dit goed gaan met u huisgesin en met alles wat u het. **7** Ek het gehoor dat u die skape skeer. Toe u herders saam met ons was, het ons niks slegs aan hulle gedoen nie,^e en die hele tyd dat hulle in Karmel was, was daar niks van hulle gesteel nie. **8** Vra u jong manne, en hulle sal vir u sê. Wees asseblief goed vir my jong manne, want ons het op 'n vreugdevolle tyd* gekom. Gee asseblief vir u knegte en vir u seun Dawid wat u ook al kan.'"^f

9 Toe het Dawid se jong manne na Nabal gegaan en Dawid se boodskap aan hom oorgedra. Daarna **10** het Nabal vir Dawid se knegte gesê: "Wie is Dawid, en wie is die seun van Isai? Deesdae hardloop baie knegte van hulle meesters af weg.^g **11** Moet ek my brood en my water en die vleis wat ek vir my skeerders geslag het, sommer net weggee aan manne wat van wie weet waar kom?"

12 Daarna het Dawid se jong manne na hom toe teruggegaan en vir hom alles vertel. **13** Dawid het onmiddellik vir sy manne gesê: "Maak vas julle swaarde!"^h Toe het hulle almal hulle swaarde vasgebind, en Dawid het ook sy swaard vasgebind.

25:6 *Of "mag u vrede hê". 25:8 *Lett. "n goeie dag".

HFST. 25
a 1Sa 25:25

b 1Sa 27:3

c Nu 13:6
Nu 32:11, 12

d 1Sa 25:17, 21

e 1Sa 25:14-16

f De 15:7

g 1Sa 22:2

h Ps 37:8
Spr 15:1
Pr 7:9

Tweede kol.

a 1Sa 25:10

b 1Sa 25:7

c 1Sa 25:13

d 1Sa 25:3

e 1Sa 25:3

f 2Sa 16:1
2Sa 17:27-29

g 1Sa 25:7

h 1Sa 25:10
Ps 35:12

Ongeveer 400 manne het saam met Dawid gegaan, terwyl 200 by die bagasie gebly het.

14 Intussen het een van die knegte vir Abi'gail, Nabal se vrou, gesê: "Dawid het boodskappers uit die wildernis gestuur om ons meester die beste toe te wens, maar hy het hulle uitgeskel.^a **15** Daardie manne was baie goed vir ons. Hulle het niks slegs aan ons gedoen nie, en toe ons saam met hulle in die veld was, was niks gesteel nie.^b **16** Die hele tyd dat ons by hulle was en die kleinvee opgepas het, was hulle dag en nag soos 'n beskermende muur om ons. **17** U moet iets doen, anders sal dit die ondergang van ons meester en sy hele huis beteken,^c en hy is so 'n slegte man^d dat niemand met hom kan praat nie."

18 Abi'gail^e het toe gou 200 brode, twee groot kruike wyn, vyf skape wat geslag is, vyf sea* geroosterde graan, 100 rosnykoeke en 200 koeke van saamgeperste vye geneem en dit op die donkies gelaai.^f **19** Toe het sy vir haar knegte gesê: "Gaan voor my uit, dan kom ek agter julle aan." Maar sy het niks vir haar man, Nabal, gesê nie.

20 Terwyl sy op 'n donkie teen die berg afgery het, kon Dawid en sy manne haar nie sien aankom nie. Toe het hulle mekaar skielik teëgekome. **21** Dawid het vroeër gesê: "Ek het verniet hierdie man se besittings in die wildernis beskerm. Nie 'n enkele ding wat aan hom behoort, is gesteel nie,^g en tog kry ek stank vir dank.^h **22** Mag God die vyande van Dawid* swaar straf[#] as ek toelaat dat

25:18 *'n Sea was gelyk aan 7,33 l. Sien Aanh. B14. 25:22 *Of moontlik "Mag God Dawid". [#]Lett. "so aan die vyande van Dawid doen en daarby voeg".

'n enkele man* wat aan Nabal behoort, tot die oggend toe bly lewe."

23 Toe Abi'gail Dawid sien, het sy vinnig van die donkie afgeklim en voor Dawid gekniel en met haar gesig na die grond toe neergebuig. **24** Terwyl sy by sy voete op haar knieë was, het sy gesê: "My heer, mag die skuld op my wees. Laat u slavin met u praat, en luister na die woorde van u slavin. **25** Asseblief, my heer, moet u nie steur aan hierdie slegte Nabal^a nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam is nie verniet Nabal* nie, want hy is verstandeloos. Maar ek, u slavin, het nie die jong manne gesien wat my heer gestuur het nie. **26** So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat u lewe, my heer, Jehovah het gekeer^b dat u bloedskuldig word^c en dat u self wraak neem.* Mag u vyande en dié wat daarop uit is om iets slegs aan u te doen, net soos Nabal word. **27** Gee asseblief hierdie geskenk*^d wat u slavin vir my heer gebring het vir die jong manne wat u volg.^e **28** Vergewe asseblief die oortreding van u slavin, want Jehovah sal u koningshuis vir seker laat voortduur,^f want u voer die oorloë van Jehovah,^g en al u dae is daar niks slegs by u gevind nie.^h **29** As iemand u wil agternasit en u lewe wil neem, sal u lewe veilig in die sak van die lewe by Jehovah u God toegebind wees. Maar die lewens van u vyande sal weggeslinger word soos klippe uit 'n slinger-vel. **30** En wanneer Jehovah al die goeie dinge doen wat hy aan

25:22 *Lett. "enigiemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys. **25:25** *Beteken "verstandeloos; dom". **25:26, 33** *Of "redding bring". **25:27** *Lett. "seën".

HFST. 25

a 1Sa 25:17

b Ge 20:6

c Ge 9:6

d 1Sa 25:18

e 1Sa 22:2
1Sa 25:13f 1Sa 15:28
2Sa 7:8, 11
1Kn 9:5g 1Sa 17:45
1Sa 18:17h 1Sa 24:11
1Kn 15:5

Tweede kol.

a 1Sa 13:13, 14
1Sa 23:17
2Sa 6:21
2Sa 7:8
Ps 89:20b De 32:35
1Sa 24:15c De 19:10
1Sa 25:26

d 1Sa 25:24

e 1Sa 25:18

f 1Sa 25:22

my heer belowe het en u as leier oor Israel aanstel,^a **31** sal u nie skuldig of spyt voel* omdat u sonder rede iemand doodgemaak het[#] of self wraak geneem^Δ het nie.^b Dink aan u slavin wanneer Jehovah u beloon."

32 Toe het Dawid vir Abi'gail gesê: "Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word, wat jou vandag na my toe gestuur het! **33** Ek dank God vir jou verstandigheid! Mag jy geseën word omdat jy vandag gekeer het dat ek bloedskuldig word^c en dat ek self wraak neem.* **34** Ek sê vir jou, so waar as wat Jehovah, die God van Israel, lewe, wat gekeer het dat ek iets slegs aan jou doen:^d As jy nie vinnig na my toe gekom het nie,^e sou daar teen môreoggend nie 'n enkele man* wat aan Nabal behoort, oorgebly het nie."^f **35** Toe het Dawid aanvaar wat sy vir hom gebring het, en hy het vir haar gesê: "Gaan in vrede na jou huis toe. Ek het na jou stem geluister, en ek sal doen wat jy gevra het."

36 Later het Abi'gail teruggegaan na Nabal toe, wat soos 'n koning feesgevier het in sy huis. Hy* was in 'n goeie bui en hy was smoorndronk. Sy het tot die oggend toe absoluut niks vir hom gesê nie. **37** Die volgende oggend, toe Nabal weer nugter was, het sy vrou hom vertel wat gebeur het. Sy hart het soos 'n dooie man s'n geword, en hy het onbeweeglik daar gelê soos 'n klip. **38** Ongeveer tien dae later het Jehovah 'n einde aan Nabal se lewe gemaak.

25:31 *Of "sal u geen rede hê om te wankel of te struikel". [#]Of "sonder rede bloed vergiet het". ^ΔOf "redding gebring". **25:34** *Lett. "niemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys. **25:36** *Lett. "Nabal se hart".

39 Toe Dawid hoor dat Nabal gesterf het, het hy gesê: “Mag Jehovah geprys word, want hy het my regsak verdedig^a toe Nabal my verneder het,^b en hy het gekeer dat ek iets slegs doen,^c en Jehovah het Nabal gestraf vir sy eie slegtheid!”* Toe het Dawid boodskappers na Abi'gail toe gestuur om haar te vra om met hom te trou. **40** Dawid se knegte het dus na Abi'gail toe gegaan in Karmel en vir haar gesê: “Dawid het ons na u toe gestuur omdat hy wil hê dat u sy vrou moet word.” **41** Sy het onmiddellik met haar gesig na die grond toe neergebuig en gesê: “Ek is bereid om 'n slavin te wees om die voete^d van my heer se knegte te was.” **42** Toe het Abi'gail^e gou gereedgemaak en op haar donkie gery, en vyf van haar diensmeisies het agter haar geloop. Sy het saam met Dawid se boodskappers gegaan en sy vrou geword.

43 Dawid was ook getroud met Abi'noam^f uit Jis'reël.^g Hulle albei was dus sy vrouens.^h

44 Maar Saul het sy dogter Migal,ⁱ Dawid se vrou, gegee aan Palti,^j die seun van Lajis, wat van Gallim was.

26 Later het die manne van Sif^k na Saul toe gekom in Gi'bea^l en gesê: “Dawid kruip weg op die heuwel Hagil'a oorkant Je'simon.”*^m **2** Saul het saam met 3 000 van die beste veters van Israel na die wildernis van Sifⁿ gegaan om na Dawid te soek. **3** Saul het langs die pad kamp opgeslaan op die heuwel Hagil'a, oorkant Je'simon. Dawid het op daardie sta-

25:39 *Lett. “Jehovah het Nabal se slegtheid op sy eie kop laat terugkom”. **26:1** *Of moontlik “die woestyn; die wildernis”.

HFST. 25

- a 1Sa 24:15
Ps 35:1
- b 1Sa 25:10, 14
- c 1Sa 25:34
- d Ge 18:3, 4
Lu 7:44
- e 1Sa 25:3
- f 1Sa 27:3
2Sa 3:2
1Kr 3:1
- g Jos 15:20, 56
- h 1Sa 30:5
2Sa 5:13
- i 1Sa 18:20
- j 2Sa 3:14, 15

HFST. 26

- k Jos 15:20, 55
- l Rig 19:14
1Sa 10:26
- m 1Sa 23:14
1Sa 23:19, 24
Ps 54:Ops
- n 1Sa 24:2

Tweede kol.

- a 1Sa 14:50
1Sa 17:55
2Sa 2:8
2Sa 3:27
- b Ge 10:15
- c 2Sa 16:9
2Sa 18:5
2Sa 23:18
- d 2Sa 2:18
1Kr 2:15, 16
- e 1Sa 24:4
1Sa 26:23
- f 1Sa 10:1
- g 1Sa 24:6
2Sa 1:14
1Kr 16:22
Ps 20:6
- h De 32:35
1Sa 24:12
1Sa 25:38
Ps 94:1, 23
- i Ps 37:12, 13
- j 1Sa 31:3, 6
- k Le 19:18
1Sa 24:6
1Kr 16:22
Ps 105:15

dium in die wildernis gewoon, en hy het uitgevind dat Saul in die wildernis agter hom aan gekom het. **4** Dawid het dus spioene gestuur om te bevestig dat Saul wel gekom het. **5** Later het Dawid na die plek gegaan waar Saul kamp opgeslaan het, en Dawid het die plek gesien waar Saul en Abner,^a die seun van Ner, die hoof van sy leërmag, gelê en slaap het. Saul het in die kamp gelê en slaap met die manne reg rondom hom. **6** Toe het Dawid vir Ahimeleg, die Hetiet,^b en Abi'sai,^c die seun van Seru'ja,^d die broer van Joab, gevra: “Wie sal saam met my na Saul in die kamp gaan?” Abi'sai het geantwoord: “Ek sal saam met jou gaan.” **7** Dawid en Abi'sai het dus in die nag na Saul se kamp toe gegaan. Hulle het Saul gevind waar hy in die kamp gelê en slaap het, en sy spies was langs sy kop in die grond gesteek. Abner en die manne het rondom hom gelê.

8 Abi'sai het toe vir Dawid gesê: “God het vandag jou vyand in jou hand gegee.^e Laat ek hom asseblief net een keer met die spies teen die grond vaspen. Ek sal dit nie twee keer hoef te doen nie.” **9** Maar Dawid het vir Abi'sai gesê: “Moet hom nie seermaak nie, want wie kan sy hand vir die gesalfde van Jehovah^f lig en onskuldig bly?”^g **10** Dawid het verder gesê: “So waar as wat Jehovah lewe, Jehovah sal hom doodmaak,^h of sy dag sal komⁱ en hy sal sterf, of hy sal in die oorlog doodgemaak word.^j **11** Omdat ek weet hoe Jehovah daaroor voel, sal ek nie eers daaraan dink om my hand vir die gesalfde van Jehovah^k te lig nie! Neem dan nou asseblief die spies langs sy kop en die waterkruik, en laat ons gaan.” **12** Dawid het die spies

en die waterkruik langs Saul se kop geneem, en toe het hulle gegaan. Niemand het iets gesien^a of agtergekom of wakker geword nie. Hulle almal was aan die slaap, want Jehovah het 'n diep slaap oor hulle laat kom. **13** Toe het Dawid na die ander kant toe gegaan en ver weg op die top van die berg gestaan, sodat daar 'n groot afstand tussen hom en Saul was.

14 Dawid het na die soldate en na Abner,^b die seun van Ner, geroep en gesê: "Abner, antwoord my!" Abner het geantwoord: "Wie is dit wat so na die koning roep?" **15** Dawid het vir Abner gesê: "Watter soort man is jy? Daar is mos niemand soos jy in Israel nie. Hoekom het jy dan nie oor jou heer die koning wag gehou nie? Want een van die soldate het ingekom om jou heer, die koning, dood te maak.^c **16** Jy het nie jou werk gedoen nie. So waar as wat Jehovah lewe, julle verdien om te sterf, want julle het nie oor julle heer, die gesalfde van Jehovah,^d wag gehou nie. Waar is die koning se spies en die waterkruik^e wat langs sy kop was? Gaan kyk 'n bietjie!"

17 Saul het Dawid se stem herken en gevra: "Is dit jou stem, my seun Dawid?"^f Dawid het geantwoord: "Ja, my heer die koning." **18** Hy het bygevoeg: "Hoekom jaag my heer agter sy kneg aan?"^g Wat het ek gedoen, en waaraan is ek skuldig?^h **19** My heer die koning, luister asseblief na u kneg: As dit Jehovah is wat u teen my aangehits het, laat hy dan my graanoffer aanvaar.* Maar as mense u teen my aangehits het,ⁱ is hulle vervloek voor Jehovah, want hulle het my vandag uit Jehovah

HFST. 26

a 1Sa 24:4

b 1Sa 14:50

1Sa 17:55

2Sa 2:8

2Sa 3:8

c 1Sa 26:8

d 1Sa 9:16, 17

1Sa 10:1

e 1Sa 26:11

f 1Sa 24:8, 16

g Ps 35:7

h 1Sa 24:9, 11

i 1Sa 24:9

Tweede kol.

a Eks 19:5

De 26:18

b 1Sa 24:14

c 1Sa 24:17

d 1Sa 24:10

1Sa 26:11

e Ps 7:8

Ps 18:20

f 1Sa 24:6

1Sa 26:9

g Ps 34:19

h 1Sa 24:19

i 1Sa 24:22

1Sa 27:4

HFST. 27

j 1Sa 19:18

1Sa 22:1, 5

k 1Sa 18:29

1Sa 23:23

l 1Sa 25:13

1Sa 30:9

m 1Sa 21:10, 14

1Sa 27:12

se erfdeel weggejaag.^a Dit is asof hulle vir my sê: 'Gaan dien ander gode!' **20** Moenie my bloed ver weg van die teenwoordigheid van Jehovah op die grond laat val nie, want die koning van Israel het na 'n enkele vlooi gaan soek,^b asof hy 'n patrys op die berge jaag."

21 Toe het Saul gesê: "Ek het gesondig.^c Kom terug, my seun Dawid, want ek sal nie meer enigiets slegs aan jou probeer doen nie, want vandag het jy bewys dat my lewe vir jou kosbaar is.^d Ja, ek het onverstandig opgetree en 'n groot fout gemaak." **22** Dawid het geantwoord: "Hier is die koning se spies. Laat een van die jong manne dit kom haal. **23** Jehovah sal elkeen beloon vir sy eie regverdigheid^e en sy eie getrouheid. Vandag het Jehovah u in my hand gegee, maar ek wou nie my hand lig vir die gesalfde van Jehovah nie.^f **24** Mag my lewe vir Jehovah net so kosbaar wees soos u lewe vandag vir my kosbaar was, en mag hy my uit alle moeilikhede red."^g **25** Saul het vir Dawid gesê: "Mag jy geseën word, my seun Dawid. Jy sal nog groot dinge doen, en jy sal beslis suksesvol wees."^h Toe het Dawid vertrek, en Saul het na sy huis teruggegaan.ⁱ

27 Dawid het vir homself gesê: 'Eendag gaan Saul my nog doodmaak. Dit is beter dat ek na die land van die Filistyne vlug.^j Dan sal Saul ophou om na my te soek in die hele gebied van Israel,^k en ek sal van hom ontsnap.' **2** Toe het Dawid en die 600 manne^l wat by hom was, gegaan na Agis,^m die seun van Maog, die koning van Gat. **3** Dawid en sy manne het saam met hulle gesinne by Agis in Gat gebly. Dawid se twee vrouens,

Ahi'noam^a van Jis'reël en Abi'gail^b van Karmel, Nabal se weduwee, was saam met hom. **4** Toe Saul hoor dat Dawid na Gat gevlug het, het hy opgehou om na hom te soek.^c

5 Toe het Dawid vir Agis gesê: "As u dit goedvind, gee my asseblief 'n plek in een van die dorpe op die platteland. Hoekom moet u kneg by u in die koninklike stad woon?"

6 Op daardie dag het Agis vir hom Siklag^d gegee. Daarom behoort Siklag tot vandag toe aan die konings van Juda.

7 Dawid het 'n jaar en vier maande lank in die land van die Filistyne gewoon.^e **8** Dawid en sy manne het die Gesuriete,^f die Girsiete en die Amalekiete^g gereeld gaan stroop. Dit is die mense wat gewoon het in die gebied wat van Telam af tot by Sur^h en Egipte strek. **9** Elke keer wanneer Dawid die land aangeval het, het hy nie 'n enkele man of vrou se lewe gespaar nie,ⁱ maar hy het die kleinvee, die beeste, die donkies, die kamele en die klere gevat, en daarna het hy na Agis teruggegaan. **10** Agis het dikwels gevra: "Watter gebied het julle vandag gaan stroop?" Dawid het dan geantwoord: "Die suide* van Juda"^j of: "Die suide van die gebied van die Jeragmeëliete"^k of: "Die suide van die gebied van die Keniete".^l **11** Dawid het nie 'n enkele man of vrou se lewe gespaar nie, sodat hulle nie na Gat gebring kon word en kon sê wat hy gedoen het nie. (Dit is wat hy altyd gedoen het terwyl hy in die land van die Filistyne gewoon het.) **12** Agis het Dawid dus geglo en vir homself gesê: "Sy volk Israel het hom beslis begin haat, en daarom sal hy altyd my kneg wees."

27:10 *Of "Negeb".

HFST. 27

- a 1Sa 25:43
- b 1Sa 25:39, 42
- c 1Sa 23:14
1Sa 26:25
- d Jos 19:1, 5
1Sa 30:1
2Sa 1:1
1Kr 12:1, 20
- e 1Sa 29:3
- f Jos 13:1, 2
- g Ge 36:12
Eks 17:8, 14
Nu 13:29
1Sa 15:2
2Sa 1:1
- h Ge 25:17, 18
Eks 15:22
1Sa 15:7
- i De 25:19
1Sa 15:3
- j Jos 15:1, 2
- k 1Kr 2:9
- l Nu 24:21
1Sa 15:6

Tweede kol.

HFST. 28

- a 1Sa 14:52
- b 1Sa 27:12
1Sa 29:3
- c 1Sa 29:2
- d 1Sa 25:1
- e Eks 22:18
Le 19:31
Le 20:6, 27
De 18:10, 11
Op 21:8
- f Jos 19:17, 18
2Kn 4:8
- g 1Sa 31:1
2Sa 1:21
2Sa 21:12
- h 1Sa 28:20
- i 1Sa 14:37
- j Eks 28:30
Nu 27:21
- k Eks 22:18
Le 19:31
Le 20:6
1Sa 15:23
1Sa 28:3
- l Jos 17:11
- m De 18:10, 11
1Kr 10:13

28 In daardie dae het die Filistyne hulle leërmagte bymekaargebring om teen Israel oorlog te voer.^a Toe het Agis vir Dawid gesê: "Jy besef natuurlik dat jy en jou manne saam met my moet gaan oorlog voer."^b **2** Toe het Dawid vir Agis gesê: "U weet goed wat u kneg sal doen." Agis het vir Dawid gesê: "Dit is hoekom ek jou as my permanente lyfwag sal aanstel."^c

3 Teen dié tyd was Samuel al dood en het die hele Israel al oor hom getreure en hom in Rama, sy eie stad,^d begrawe. En Saul het die mense wat geeste oproep* sowel as die fortuinvertellers uit die land verwyder.^e

4 Die Filistyne het hulle soldate bymekaargebring en in Sunem^f kamp opgeslaan. Saul het dus die hele Israel bymekaargebring, en hulle het in Gilbo'a^g kamp opgeslaan. **5** Toe Saul die kamp van die Filistyne sien, het hy baie bang geword.^h **6** Saul het Jehovah geraadpleeg,ⁱ maar Jehovah het hom nooit geantwoord nie, nie in drome of deur die Urim^j of deur die profete nie. **7** Uiteindelik het Saul vir sy knegte gesê: "Soek vir my 'n vrou wat geeste kan oproep,^k en ek sal haar gaan raadpleeg." Sy knegte het geantwoord: "In En-Dor^l is daar 'n vrou wat geeste kan oproep."

8 Toe het Saul hom vermom en ander klere aangetrek en in die nag saam met twee van sy manne na die vrou toe gegaan. Hy het gesê: "Maak asseblief gebruik van waarsêery om iemand vir my op te roep.^m Ek sal vir jou sê wie." **9** Maar die vrou het vir hom gesê: "Jy weet goed wat Saul gedoen het, hoe

28:3 *Of "die spiritistiese mediums".
28:7 *Of "wat 'n spiritistiese medium is".

hy die mense wat geeste oproep* en die fortuinvertellers uit die land verwyder het.^a Hoekom probeer jy dan vir my 'n strik stel? Wil jy my laat doodmaak?"^b **10** Toe het Saul vir haar by Jehovah gesweer: "So waar as wat Jehovah lewe, jy sal nie hiervoor gestraf word nie!" **11** Die vrou het toe gevra: "Wie sal ek vir jou oproep?" Hy het geantwoord: "Roep Samuel vir my op." **12** Toe die vrou "Samuel"* sien,^c het sy hard geskree en vir Saul gevra: "Hoekom het u my bedrieg? U is Saul!" **13** Die koning het vir haar gesê: "Moenie bang wees nie, maar wat sien jy?" Die vrou het vir Saul gesê: "Ek sien iemand wat soos 'n god is, uit die aarde opkom." **14** Hy het dadelik vir haar gevra: "Hoe lyk hy?" Sy het geantwoord: "Dit is 'n ou man wat opkom, en hy het 'n moulous oorkleed^d aan." Toe het Saul besef dat dit "Samuel" is, en hy het gekniel en neergebuig met sy gesig na die grond toe.

15 "Samuel" het vir Saul gevra: "Hoekom het jy my gesteur deur my te laat opkom?" Saul het geantwoord: "Ek is in groot moeilikheid. Die Filistyne veg teen my, en God het my verlaat en hy antwoord my nie meer nie, nie deur die profete of in drome nie.^e Daarom het ek u laat oproep om u te vra wat ek moet doen."^f

16 "Samuel" het toe gevra: "Hoekom raadpleeg jy my nou, dat Jehovah jou verlaat het^g en jou vyand geword het?" **17** Jehovah sal doen wat hy deur middel van my voorspel het: Jehovah sal die koninkryk van jou

28:9 *Of "die spiritistiese mediums".
28:12 *Of "iemand wat gelyk het asof dit Samuel is".

HFST. 28

a 1Sa 28:3

b Eks 22:18
Le 20:27

c 1Sa 28:3

d 1Sa 15:27

e 1Sa 28:6

f Le 19:31

g 1Sa 15:23
1Sa 16:14

Tweede kol.

a 1Sa 13:14
1Sa 15:28
1Sa 16:13
1Sa 24:20b 1Sa 15:9
1Kr 10:13c 1Sa 28:1
1Sa 31:1

d 1Sa 31:5

e 1Sa 31:2
2Sa 2:8

f 1Sa 31:7

g Le 20:27

h 1Sa 28:8

HFST. 29

i 1Sa 28:1

af wegskeur en dit aan iemand anders gee, aan Dawid.^a **18** Jy het Jehovah nie gehoorsaam nie, en jy het nie die Amalekiete,^b vir wie hy woedend was, vernietig nie. Dit is hoekom Jehovah dit vandag aan jou doen. **19** Jehovah sal jou sowel as Israel in die hand van die Filistyne gee,^c en môre sal jy^d en jou seuns^e by my wees. Jehovah sal ook die leërmag van Israel in die hand van die Filistyne gee."^f

20 Toe het Saul dadelik op die grond neergeval en baie bang geword as gevolg van "Samuel" se woorde. Hy was baie swak omdat hy die hele dag en die hele nag niks geëet het nie. **21** Die vrou het na Saul toe gegaan en gesien dat hy baie ontsteld was. Sy het toe vir hom gesê: "U diensmeisie was gehoorsaam, en ek het my lewe geëet^g en gedoen wat u vir my gesê het om te doen. **22** Luster nou asseblief na u diensmeisie. Laat ek vir u 'n stukkie brood gee, en eet. Dan sal u weer 'n bietjie krag hê voordat u vertrek." **23** Maar hy het geweier en gesê: "Ek sal nie eet nie." Maar sy knegte en die vrou het hom heeltyd aangespoor om te eet. Uiteindelik het hy na hulle geluister en van die grond af opgestaan en op die bed gaan sit. **24** Die vrou het 'n vetgemaakte kalf in die huis gehad. Sy het dit gou gaan slag* en meel geneem en deeg geknie en ongesuurde brood gebak. **25** Toe het sy dit aan Saul en sy knegte bedien, en hulle het geëet. Daarna het hulle opgestaan en in die nag vertrek.^h

29 Die Filistyneⁱ het al hulle soldate by Afek bymeekargebring, terwyl die kamp van die Israeliete by die fontein

28:24 *Of "offer".

in Jis'reël^a was. **2** En die leiers van die Filistyne het met hulle groepe van 100 en van 1 000 verbygetrek, en Dawid en sy manne was heel agter saam met Agis.^b **3** Maar die Filistynse bevelvoerders het gevra: "Wat maak hierdie Hebreërs hier?" Agis het geantwoord: "Dit is Dawid, die kneg van koning Saul van Israel, wat al 'n jaar of selfs langer by my is.^c Van die dag af dat hy na my toe oorgeloop het, het ek geen fout by hom gevind nie." **4** Maar die Filistynse bevelvoerders het vir hom kwaad geword en vir hom gesê: "Stuur die man terug.^d Laat hom teruggaan na die plek wat jy vir hom gegee het. Moet hom nie saam met ons na die geveg laat gaan nie, sodat hy nie in die geveg teen ons draai nie.^e As hy met die koppe van ons manne na sy heer toe gaan, sal dit mos die beste manier wees om weer sy heer se goedkeuring te kry. **5** Dit is mos die Dawid van wie hulle gesing het terwyl hulle gedans het. Hulle het mos gesing:

'Saul het sy duisende
verslaan,
en Dawid sy tienduisende.'"^f

6 Agis^g het Dawid dus laat roep en vir hom gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, jy is 'n goeie man, en ek wil graag hê dat jy saam met my leërmag na die geveg moet gaan,^h want van die dag af dat jy na my toe gekom het, het ek geen fout by jou gevind nie.ⁱ Maar die leiers vertrou jou nie.^j **7** Gaan dus in vrede terug, en moet niks doen wat die leiers van die Filistyne sal omkrap nie." **8** Maar Dawid het vir Agis gevra: "Hoekom? Wat het ek gedoen? Watter fout het u by u kneg gevind van die dag af dat ek na u toe ge-

HFST. 29

a Jos 19:17, 18
1Sa 29:11

b 1Sa 28:2

c 1Sa 27:7, 12

d 1Kr 12:19

e 1Sa 14:21

f 1Sa 18:7
1Sa 21:11g 1Sa 21:10
1Sa 27:2

h 1Sa 28:2

i 1Sa 27:11, 12

j 1Sa 29:3, 9

Tweede kol.

a 1Sa 27:12

b Jos 19:17, 18
1Sa 29:1

HFST. 30

c Jos 15:21, 31
1Sa 27:5, 6d Ge 36:12
Eks 17:14
1Sa 15:2
1Sa 27:8

e 1Sa 27:3

f 1Sa 25:42
1Sa 25:43g Ps 18:6
Ps 31:1, 9
Ps 34:19
Ps 143:5

kom het? Hoekom kan ek nie saam met u kom en teen die vyande van my heer die koning veg nie?" **9** Agis het geantwoord: "In my oë is jy so goed soos 'n engel van God.^a Maar die Filistynse bevelvoerders het gesê: 'Moet hom nie saam met ons na die geveg laat gaan nie.' **10** Staan dan nou môreoggend vroeg op saam met die manne wat saam met jou gekom het, en vertrek sodra dit lig word."

11 Dawid en sy manne het toe vroeg die oggend opgestaan om na die land van die Filistyne terug te keer, en die Filistyne het na Jis'reël^b gegaan.

30 Toe Dawid en sy manne op die derde dag in Siklag^c aankom, het hulle ontdek dat die Amalekiete^d die suide* en Siklag gestroop het en dat hulle Siklag aangeval en verbrand het. **2** Hulle het die vrouens^e en al die ander inwoners, jonk en oud, gevange geneem. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar hulle het hulle saamgeneem toe hulle vertrek het. **3** Toe Dawid en sy manne by die stad aankom, het hulle gesien dat dit afgebrand is en dat hulle vrouens en hulle seuns en hulle dogters weggeneem is. **4** Dawid en sy manne het hard gehuil totdat hulle nie meer krag gehad het om te huil nie. **5** Dawid se twee vrouens is ook weggeneem, naamlik Ahinoam van Jis'reël en Abigail, die weduwe van Nabal, die Karmeliet.^f **6** Dawid was baie ontsteld, want die manne het gesê dat hulle hom met klippe wil doodgooi. Hulle was baie verbitterd oor die verlies van hulle seuns en dogters. Maar Dawid het by Jehovah sy God hulp gesoek, en so is hy versterk.^g

30:1 *Of "Negeb".

7 Dawid het toe vir die priester Abja'tar,^a die seun van Ahime'leg, gesê: "Bring asseblief die efod hier."^b En Abja'tar het die efod na Dawid toe gebring.

8 Dawid het Jehovah gevra:^c "Moet ek hierdie rowerbende agternasit? Sal ek hulle inhaal?" Toe het Hy vir hom gesê: "Sit hulle agterna, want jy sal hulle vir seker inhaal, en jy sal alles en almal terugkry."^d

9 Dawid het dadelik saam met sy 600 manne^e vertrek, en hulle het tot by die Besor-vallei* gegaan, waar party van die manne agtergebly het. 10 Dawid en 400 manne het die rowerbende agternagesit, maar 200 manne het agtergebly omdat hulle te moeg was om deur die Besor-vallei* te gaan.^f

11 Hulle het 'n Egiptiese man in die veld gevind en hom na Dawid toe geneem. Hulle het vir hom kos en water gegee, 12 sowel as 'n stuk van 'n saamgeperste vyekoek en twee ro-synekoek. Nadat hy geëet het, het hy sy krag weer teruggekry,* want hy het drie dae en drie nagte niks geëet of gedrink nie. 13 Dawid het toe vir hom gevra: "Aan wie behoort jy, en waar kom jy vandaan?" Hy het geantwoord: "Ek is 'n Egiptiese dienaar, 'n slaaf van 'n Amalekitiese man, maar my meester het my agtergelaat omdat ek drie dae gelede siek geword het. 14 Ons het die suide* van die gebied van die Keretiete^g en die gebied van Juda en die suide* van die gebied van Kaleb^h gestroop, en ons het Siklag verbrand." 15 Dawid het toe vir hom gevra: "Sal jy my na hierdie rowerbende toe neem?" Hy het

30:9, 10, 21 *Of "wadi Besor". Sien Woordelys. 30:12 *Lett. "het sy gees na hom teruggekeer". 30:14 *Of "Nebg".

HFST. 30

a 1Sa 22:20
1Kn 2:26

b 1Sa 23:9

c Nu 27:21
Rig 20:28
1Sa 23:2, 11
1Sa 28:6d 1Sa 30:18
Ps 34:19e 1Sa 23:13
1Sa 27:2

f 1Sa 30:21

g 2Sa 8:18
1Kn 1:38
1Kr 18:17
Ese 25:16
Sef 2:5

h Jos 14:13

Tweede kol.

a Eks 17:14

b 1Sa 30:3

c 1Sa 30:8
Ps 34:19

d 1Sa 30:10

geantwoord: "Ek sal dit doen as u vir my by God sweer dat u my nie sal doodmaak nie en dat u my nie aan my meester sal oorlewer nie."

16 Hy het hom dus geneem na die plek waar die Amalekiete was. Hulle was oor 'n groot gebied versprei, en hulle het geëet en gedrink en feesgevier omdat hulle so baie besittings en mense uit die land van die Filistyne en die land van Juda geneem het. 17 Toe het Dawid van vroeg die oggend, toe dit nog donker was, tot die volgende aand teen hulle geveg en hulle doodgemaak. Net 400 manne wat op kamele gevlug het, het weggekome.^a 18 Dawid het alles teruggekry wat die Amalekiete geneem het,^b en Dawid het sy twee vrouens gered. 19 Hulle het niks verloor nie. Hulle het hulle seuns en dogters en besittings teruggekry.^c Dawid het alles wat geneem is, teruggekry. 20 Dawid het al die kleinvee en die beste van die Amalekiete geneem. Sy manne het hulle voor hulle eie vee laat loop en gesê: "Dit behoort aan Dawid."

21 Dawid het toe by die 200 manne gekom wat te moeg was om saam met hom te gaan en wat by die Besor-vallei*^d agtergebly het. Hulle het uitgekome na Dawid en almal wat by hom was. Toe Dawid naby die manne kom, het hy hulle gevra hoe dit met hulle gaan. 22 Maar onder die manne wat saam met Dawid gegaan het, was daar ook slegte, nikswerd manne wat gesê het: "Hulle het nie saam met ons gegaan nie, en daarom sal ons hulle niks gee van alles wat ons teruggekry het nie. Hulle mag net hulle vrouens en kinders saamneem, en dan moet hulle gaan." 23 Maar Dawid het gesê: "My

broers, julle moenie so maak met wat Jehovah vir ons gegee het nie. Hy het ons beskerm en het die rowerbende wat teen ons gekom het, in ons hand gegee.^a **24** Niemand sal met julle saamstem hieroor nie. Die een wat gaan veg het, sal net soveel kry as die een wat by die bagasie gebly het.^b Almal sal 'n deel ontvang.”^c **25** Op daardie dag het Dawid dit as 'n reël vasgestel, en dit is tot vandag toe 'n wetsvoorskrif in Israel.

26 Toe Dawid na Siklag teruggekeer het, het hy van die besittings wat gemeem is, na die ouermanne van Juda wat sy vriende was, gestuur en gesê: “Hier is vir julle 'n geskenk* uit die besittings wat by Jehovah se vyande gemeem is.” **27** Hy het geskenke gestuur aan die ouermanne van Bet-El,^d van Ramot in die Negeb,* van Jattir,^e **28** van A'roër, van Sifmot, van Estemo'a,^f **29** van Ragal, van die stede van die Jeragmeëliete,^g van die stede van die Keniete,^h **30** van Horma,ⁱ van Bor-Asan, van Atag, **31** van He'bron^j en van al die plekke waar Dawid en sy manne gereeld gegaan het.

31 Die Filistyne het teen Israel geveg.^k En die manne van Israel het van die Filistyne af weggevlug, en baie van hulle is op die berg Gilbo'a^l doodgemaak. **2** Die Filistyne was heeltyd kort op die hakke van Saul en sy seuns, en hulle het Saul se seuns^m Jo'natan,ⁿ Abina'dab en Malkisua doodgemaak. **3** Die geveg teen Saul het intens geword, en die boogskutters het hom gevind en hom ernstig gewond.^o **4** Saul het vir sy wapendraer gesê:

30:26 *Lett. “seën”. 30:27 *Of “suide”.

HFST. 30

a 1Sa 30:8

b 1Sa 30:10

c Nu 31:27
Ps 22:8
Ps 68:12

d Jos 19:4, 8

e Jos 15:20, 48
Jos 21:8, 14f Jos 15:20, 50
Jos 21:8, 14g 1Sa 27:10
1Kr 2:9h Rig 1:16
1Sa 15:6i Nu 21:3
Jos 19:1, 4
Rig 1:17j Jos 14:13
2Sa 2:1

HFST. 31

k 1Sa 14:52
1Sa 29:1l 1Sa 28:4
2Sa 1:21
1Kr 10:1-5

m 1Kr 8:33

n 1Sa 13:2

o 2Sa 1:4, 6

Tweede kol.

a 1Sa 17:26
2Sa 1:20

b 1Kr 10:4

c 1Sa 26:10
1Kr 10:13d 1Sa 28:19
1Kr 10:6, 7

e 1Sa 13:6

f 1Sa 28:4
1Sa 31:1
2Sa 1:6
1Kr 10:8-12

g 2Sa 1:20

h Rig 16:23

i Jos 17:11
Rig 1:27

j 1Sa 11:1, 9-11

k 2Sa 21:12

l 2Sa 2:4, 5

“Neem jou swaard en maak my dood. Dan kan hierdie onbesnede manne^a my nie wreed behandel en doodmaak nie.” Maar sy wapendraer wou nie, want hy was baie bang. Toe het Saul die swaard geneem, dit teen hom gedruk en daarop geval.^b **5** Toe sy wapendraer sien dat Saul dood is,^c het hy ook op sy eie swaard geval en gesterf. **6** So het Saul, sy drie seuns, sy wapendraer en al sy manne op daardie dag gesterf.^d **7** Toe die Israelietes wat in die vallei en die Jordaanstreek was, sien dat die manne van Israel gevlug het en dat Saul en sy seuns gesterf het, het hulle die stede verlaat en gevlug.^e Daarna het die Filistyne gekom en in hulle stede gewoon.

8 Die volgende dag, toe die Filistyne die lyke kom stroop, het hulle Saul en sy drie seuns dood gevind op die berg Gilbo'a.^f **9** Hulle het sy kop afgekap en sy wapenrusting uitgetrek, en hulle het 'n boodskap deur die hele land van die Filistyne gestuur om die nuus^g in die tempels van hulle afgode^h en onder die volk te versprei. **10** Daarna het hulle sy wapenrusting in die tempel* van die Asto'ret-beelde gesit en sy lyk aan die muur van Bet-Sanⁱ vasgemaak. **11** Toe die inwoners van Ja'bes-Gi'lead^j hoor wat die Filistyne aan Saul gedoen het, **12** het al die vegters die hele nag gereis en die lyke van Saul en sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal. Hulle het na Jabes teruggekeer en die lyke daar verbrand. **13** Daarna het hulle die beendere^k onder die tamariskboom in Jabes^l begrawe, en hulle het sewe dae lank gevas.

31:10 *Lett. “huis”.

DIE TWEDE BOEK VAN SAMUEL

O O R S I G

- 1 Dawid hoor van Saul se dood (1-16)
Dawid se treurlied oor Saul en Jonatan (17-27)
- 2 Dawid, koning oor Juda (1-7)
Is-Boset, koning oor Israel (8-11)
Oorlog tussen huis van Dawid en huis van Saul (12-32)
- 3 Huis van Dawid word sterker (1)
Dawid se seuns (2-5)
Abner begin Dawid ondersteun (6-21)
Joab maak Abner dood (22-30)
Dawid treur oor Abner (31-39)
- 4 Is-Boset vermoor (1-8)
Dawid laat moordenaars doodmaak (9-12)
- 5 Dawid word koning oor hele Israel (1-5)
Jerusalem ingeneem (6-16)
Sion, Stad van Dawid (7)
Dawid verslaan Filistyne (17-25)
- 6 Ark na Jerusalem gebring (1-23)
Ussa gryp Ark en word doodgemaak (6-8)
Migal verag Dawid (16, 20-23)
- 7 Dawid sal nie tempel bou nie (1-7)
Verbond met Dawid vir koninkryk (8-17)
Dawid se dankgebed (18-29)
- 8 Dawid se oorwinnings (1-14)
Dawid se administrasie (15-18)
- 9 Dawid se lojale liefde vir Mefiboset (1-13)
- 10 Oorwinnings oor Ammon en Sirië (1-19)
- 11 Dawid pleeg egbreuk met Batseba (1-13)
Dawid reël dat Uria doodgemaak word (14-25)
Dawid trou met Batseba (26, 27)
- 12 Natan wys Dawid tereg (1-15a)
Batseba se seun sterf (15b-23)
Batseba gee geboorte aan Salomo (24, 25)
Ammonitiese stad Rabba ingeneem (26-31)
- 13 Amnon verkrag Tamar (1-22)
Absalom maak Amnon dood (23-33)
Absalom vlug na Gesur (34-39)
- 14 Joab en vrou van Tekoa (1-17)
Dawid vind uit van Joab se plan (18-20)
Absalom toegelaat om terug te kom (21-33)
- 15 Absalom se sameswering en opstand (1-12)
Dawid vlug uit Jerusalem (13-30)
Agitofel sluit by Absalom aan (31)
Husai gestuur om Agitofel se plan te laat misluk (32-37)
- 16 Siba belaster Mefiboset (1-4)
Simeï vervloek Dawid (5-14)
Husai gaan na Absalom (15-19)
Agitofel se raad (20-23)
- 17 Husai laat Agitofel se raad misluk (1-14)
Dawid gewaarsku; hy vlug vir Absalom (15-29)
Barsillai en ander voorsien wat nodig is (27-29)
- 18 Absalom verslaan en doodgemaak (1-18)
Dawid hoor van Absalom se dood (19-33)
- 19 Dawid treur oor Absalom (1-4)
Joab wys Dawid tereg (5-8a)
Dawid gaan terug na Jerusalem (8b-15)
Simeï vra om vergifnis (16-23)
Mefiboset is onskuldig (24-30)
Barsillai geëer (31-40)
Argument tussen manne van Israel en manne van Juda (41-43)
- 20 Seba se opstand; Joab maak Amasa dood (1-13)
Seba agternagesit en sy kop afgekap (14-22)
Dawid se administrasie (23-26)
- 21 Wraak op huis van Saul namens Gibeoniete (1-14)
Oorloë teen Filistyne (15-22)

- 22 Dawid loof God vir sy reddingsdade (1-51)
"Jehovah is my groot rots" (2)
Jehovah is lojaal aan dié wat lojaal is (26)
- 23 Dawid se laaste woorde (1-7)
Heldedade van Dawid se magtige vegters (8-39)

- 24 Dawid se sonde in verband met sensus (1-14)
Vreeslike siekte veroorsaak dood van 70 000 (15-17)
Dawid bou 'n altaar (18-25)
Geen offerandes sonder koste (24)

1 Ná Saul se dood, toe Dawid teruggekeer het nadat hy die Amalekiete verslaan het, het Dawid twee dae lank in Siklag^a gebly. **2** Op die derde dag het 'n man met geskeurde klere en grond op sy kop van die kamp van Saul af gekom. Toe hy by Dawid kom, het hy op sy knieë geval en neergebuig.

3 Dawid het vir hom gevra: "Waar kom jy vandaan?" Hy het geantwoord: "Ek het uit die kamp van Israel gevlug." **4** Dawid het vir hom gevra: "Wat het gebeur? Vertel my, asseblief." Toe het hy gesê: "Die manne het van die geveg af weggevlug, en baie van hulle het gesterf. Sels Saul en sy seun Jo'natan het gesterf."^b **5** Toe het Dawid vir die jong man wat vir hom die nuus gebring het, gevra: "Hoe weet jy dat Saul en sy seun Jo'natan dood is?" **6** Die jong man het geantwoord: "Ek was toevallig op die berg Gilbo'a,^c en daar het ek Saul gesien wat op sy spies leun, en die strydwaens en die perderuiters het hom ingehaal.^d **7** Toe hy omdraai en my sien, het hy my geroep, en ek het gesê: 'Hier is ek!' **8** Hy het vir my gevra: 'Wie is jy?' Ek het geantwoord: 'Ek is 'n Amalekiet.'^e **9** Toe het hy gesê: 'Kom staan asseblief oor my en maak my dood, want ek lewe nog, maar ek het verskriklik baie

HFST. 1

a 1Sa 27:5, 6

b 1Sa 31:1, 6
1Kr 10:4, 6c 1Sa 28:4
1Kr 10:1d 1Sa 31:3
1Kr 10:3e Eks 17:16
De 25:19
1Sa 15:20
1Sa 30:1

Tweede kol.

a 1Sa 31:4

b 1Sa 31:11, 13

c 1Sa 31:1

d Nu 12:8
1Sa 24:6
1Sa 26:9
1Sa 31:4

e 2Sa 4:10

f 2Sa 1:6, 10

pyn.' **10** Daarom het ek oor hom gaan staan en hom doodgemaak,^a want ek het geweet dat hy so ernstig gewond is dat hy nie sou oorleef nie. Toe het ek die kroon geneem wat op sy kop was en die armband wat om sy arm was, en ek het dit hier na my heer toe gebring."

11 Toe het Dawid en al die manne wat by hom was, hulle klere geskeur. **12** En hulle het tot die aand toe getreur, gehuil en gevas^b oor Saul, oor sy seun Jo'natan, oor die volk van Jehovah en oor die huis van Israel^c omdat hulle met die swaard doodgemaak is.

13 Dawid het vir die jong man wat vir hom die nuus gebring het, gevra: "Waar kom jy vandaan?" Hy het gesê: "Ek is die seun van 'n uitlander, 'n Amalekiet." **14** Toe het Dawid vir hom gevra: "Hoekom was jy nie bang om die gesalfde van Jehovah dood te maak nie?"^d **15** Dawid het een van die jong manne geroep en gesê: "Kom hier en maak hom dood." Toe het hy hom doodgemaak.^e **16** Dawid het vir hom gesê: "Jy is verantwoordelik vir jou eie dood,^f want jou eie mond het teen jou getuig deur te sê: 'Ek het die gesalfde van Jehovah doodgemaak.'"^f

1:16 *Lett. "Jou bloed is op jou eie kop".

17 Toe het Dawid hierdie treurlied oor Saul en sy seun Jo'natan^a gesing 18 en gesê dat die volk van Juda hierdie treurlied, "Die boog", geleer moet word, wat in die boek van Jasar geskryf is:^b

19 "Jou prag, o Israel, lê verslaan op jou hoogtes.^c Jou magtiges is dood!

20 Moet dit nie in Gat vertel nie.^d

Moet dit nie in die strate van As'kelon bekend maak nie, want anders sal die dogters van die Filistyne bly wees en sal die dogters van die onbesnede manne juig.

21 O berge van Gilbo'a,^e mag daar geen dou of reën op julle wees nie, geen velde wat heilige bydraes' voortbring nie, want daar is die skild van magtiges besoedel. Die skild van Saul is nie meer met olie gesalf nie.

22 Sonder die bloed van vyande en die vet van magtiges het die boog van Jo'natan nooit teruggekeer nie,^g en die swaard van Saul het altyd sukses behaal.^h

23 Saul en Jo'natan,ⁱ geliefd en aangenaam* gedurende hulle lewe, en nie geskei in die dood nie.^j

Hulle was vinniger as arende,^k sterker as leeus.^l

24 O dogters van Israel, treur oor Saul, wat julle met helderrooi materiaal en elegante klere geklee het, wat goue versierings aan julle klere gesit het.

HFST. 1

a 1Sa 31:6

b Jos 10:13

c 1Sa 31:8

d 1Sa 31:9

e 1Sa 31:1
1Kr 10:1

f Le 27:16

g 1Sa 18:4
1Sa 20:20

h 1Sa 14:47

i 1Sa 18:1

j 1Sa 31:6
1Kr 10:6

k Job 9:26

l Spr 30:30

Tweede kol.

a 1Sa 31:8

b 1Sa 18:1, 3

c 1Sa 19:2
1Sa 20:17, 41
1Sa 23:16-18
Spr 17:17
Spr 18:24

HFST. 2

d Nu 27:21
1Sa 28:6e Ge 23:2
Nu 13:22
Jos 14:14
Jos 20:7
2Sa 5:1
1Kn 2:11

f 1Sa 25:43

g 1Sa 25:42
1Sa 30:5h 1Sa 22:1, 2
1Sa 27:2
1Kr 12:1i Ge 49:10
1Sa 15:24, 28
1Sa 16:13
2Sa 5:4, 5
1Kr 11:3

j 1Sa 31:11-13

k 2Sa 9:7
2Sa 10:2

25 Die magtiges is in die geveg dood!
Jo'natan lê verslaan op jou hoogtes!^a

26 Ek is baie hartseer oor jou, my broer Jo'natan. Jy was baie dierbaar vir my.^b Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vrouens.^c

27 Die magtiges is dood, en die oorlogswapens het verdwyn!"

2 Daarna het Dawid Jehovah geraadpleeg^d en gevra: "Moet ek na een van die stede van Juda gaan?" Jehovah het vir hom gesê: "Gaan." Dawid het toe gevra: "Waarheen moet ek gaan?" En hy het geantwoord: "Na He'bron."^e 2 Toe het Dawid daarheen gegaan saam met sy twee vrouens, Ahi'noam^f van Jis'reël en Abi'gail,^g die weduwe van Nabal, die Karmeliet. 3 Dawid het ook die manne wat by hom was^h en hulle gesinne saamgeneem, en hulle het in die stede rondom He'bron gaan woon. 4 Toe het die manne van Juda gekom, en hulle het Dawid daar as koning oor die huis van Juda gesalf.ⁱ

Hulle het vir Dawid gesê: "Die manne van Ja'bes-Gi'lead het Saul begrawe." 5 Toe het Dawid boodskappers na die manne van Ja'bes-Gi'lead gestuur en vir hulle gesê: "Mag Jehovah julle seën, want julle het lojale liefde aan julle heer Saul betoon deur hom te begrawe." 6 Mag Jehovah lojale liefde en getrouheid aan julle betoon. Ek sal ook goed wees vir julle omdat julle dit gedoen het.^k 7 Wees dus sterk* en wees moedig, want julle heer Saul is dood, en die huis

2:7 *Let. "Laat julle hande sterk wees".

van Juda het my as koning oor hulle gesalf.”

8 Maar Abner,^a die seun van Ner, die hoof van Saul se leërmag, het Saul se seun Is-Boset^b gemeen en hom na Mahana'im^c gebring **9** en hom koning gemaak oor Gi'lead,^d die Asuriete, Jis'reël,^e E'fraim,^f Benjamin en oor die hele Israel. **10** Saul se seun Is-Boset was 40 jaar oud toe hy koning oor Israel geword het, en hy het twee jaar lank regeer. Maar die huis van Juda het Dawid ondersteun.^g **11** Dawid was sewe jaar en ses maande lank in He'bron koning oor die huis van Juda.^h

12 Ná verloop van tyd het Abner, die seun van Ner, en die knegte van Saul se seun Is-Boset van Mahana'imⁱ na Gi'beon gegaan. **13** Joab,^k die seun van Seru'ja,^l en die knegte van Dawid het ook gegaan en hulle by die dam van Gi'beon ontmoet. Die een groep het aan die een kant van die dam gesit, en die ander groep het aan die ander kant van die dam gesit. **14** Uiteindelik het Abner vir Joab gesê: “Laat die jong manne opstaan en voor ons teen mekaar veg.” Toe het Joab gesê: “Laat hulle dit doen.” **15** Toe het hulle opgestaan en na die ander kant gegaan: 12 Benjamins wat aan Saul se seun Is-Boset behoort het en 12 knegte van Dawid. **16** Hulle het mekaar aan die kop gegryp, en elkeen van hulle het sy swaard in die sy van sy teenstander gesteek, en hulle almal het saam dood neergeval. En daardie plek, wat in Gi'beon is, is Hel'kat-Has'surim genoem.

17 Die geveg wat daardie dag gevolg het, was baie intens, en Abner en die manne van Israel is uiteindelik deur die knegte van Dawid verslaan. **18** Die

HFST. 2

a 1Sa 14:50
1Sa 17:55
1Sa 26:5
2Sa 4:1
1Kn 2:5

b 2Sa 4:5-8
2Sa 4:12

c Ge 32:1, 2
Jos 13:29, 30

d Jos 13:8, 11

e Jos 19:17, 18

f Jos 16:5-8

g 2Sa 2:4

h 1Kr 3:4

i 2Sa 2:8

j Jos 10:12
Jos 18:21, 25
Jos 21:8, 17
2Sa 20:8
2Kr 1:3

k 2Sa 8:16
2Sa 20:23
1Kn 1:5, 7

l 1Kr 2:15, 16

Tweede kol.

a 1Kr 2:15, 16

b 2Sa 10:7
2Sa 24:2
1Kn 11:15
1Kr 11:6

c 1Sa 26:6
2Sa 20:6
1Kr 11:20

d 2Sa 3:27
2Sa 23:24
1Kr 27:1, 7

e 2Sa 3:27

drie seuns van Seru'ja^a was daar – Joab,^b Abi'sai^c en A'sahel.^d A'sahel was so vinnig op sy voete soos 'n wildsbok in die oop veld. **19** A'sahel het Abner agternagesit, en hy het nie links of regs agter hom weggedraai nie. **20** Toe het Abner agtertoe gekyk en gevra: “Is dit jy, A'sahel?” Hy het geantwoord: “Ja, dit is ek.” **21** Daarna het Abner vir hom gesê: “Hou op om my te agtervolg en vang een van die jong manne en neem vir jou wat jy by hom afvat.” Maar A'sahel wou nie ophou om hom te agtervolg nie. **22** En Abner het weer vir A'sahel gesê: “Hou op om my te agtervolg. Hoekom moet ek jou doodmaak? Hoe sal ek jou broer Joab in die oë kan kyk?” **23** Maar hy het geweier om op te hou, en daarom het Abner hom met die agterkant van die spies in die maag gesteek,^e en die spies het by sy rug uitgekome. Hy het geval en net daar gesterf. Almal wat by die plek gekom het waar A'sahel geval en gesterf het, het 'n rukkies daar stilgestaan.

24 Joab en Abi'sai het Abner agternagesit. Terwyl die son ondergegaan het, het hulle by die heuwel Amma gekom, wat oorkant Giag op die pad na die wildernis van Gi'beon is. **25** En die Benjamins het agter Abner bymeekaargekom, en hulle het een groep gevorm en bo-op 'n sekere heuwel gaan staan. **26** Toe het Abner na Joab geroep en gesê: “Gaan die swaard nooit ophou verslind nie? Beseft jy nie dat dit net tot bitterheid sal lei nie? Hoe lank gaan dit nog wees voordat jy vir die manne sê dat hulle moet ophou om hulle broers te agtervolg?” **27** Joab het geantwoord: “So waar as wat die ware God lewe, as jy nie gepraat het nie, sou die manne eers teen die oggend

opgehou het om hulle broers te agtervolg.” **28** Joab het toe op die horing geblaas, en sy manne het opgehou om Israel te agtervolg, en die geveg het opgehou.

29 Abner en sy manne het toe daardie hele nag deur die A'rabab getrek en die Jordaanrivier oorgesteek en deur die hele kloof* getrek en uitendelik by Mahana'im^b gekom. **30** Nadat Joab opgehou het om Abner te agtervolg, het hy al die manne bymekaargebring. A'sahel en nog 19 van Dawid se knegte is vermis. **31** Maar die knegte van Dawid het die Benjaminiete en die manne van Abner verslaan, en 360 van hulle manne het gesterf. **32** Hulle het A'sahel^c geneem en hom begrawe in sy pa se graf, wat in Betlehem^d is. Toe het Joab en sy manne die hele nag verder getrek, en hulle het He'bron^e teen dagbreek bereik.

3 Die oorlog tussen die huis van Saul en die huis van Dawid het lank aangehou. Dawid het al hoe sterker geword,^f en die huis van Saul het geleidelik swakker geword.^g

2 Intussen is daar vir Dawid seuns in He'bron gebore.^h Sy eersgeborene was Amnonⁱ by Ahinoam^j van Jis'reël. **3** Sy tweede was Ki'leab by Abigail,^k die weduwee van Nabal, die Karmeliet. Die derde was Absalom,^l die seun van Ma'aga, die dogter van koning Talmai^m van Gesur.

4 Die vierde was Adonia,ⁿ die seun van Haggit, en die vyfde was Sefat'ja, die seun van Abital. **5** Die sesde was Jit'ream by Dawid se vrou Egla. Hierdie seuns van Dawid is in He'bron gebore.

2:29 *Of moontlik “deur die hele Biron”.

HFST. 2

a De 1:7
Jos 12:2, 3

b Jos 21:8, 38
2Sa 2:8

c 2Sa 2:18
1Kr 2:15, 16

d Ge 35:19
Rut 4:11
1Sa 16:1

e 2Sa 2:1, 3
1Kr 11:1

HFST. 3

f 1Sa 15:27, 28
1Sa 24:17, 20
1Sa 26:25

g 2Sa 2:17

h 1Kr 3:1-4

i 2Sa 13:1

j 1Sa 25:43

k 1Sa 25:42

l 2Sa 15:12

m 2Sa 13:37

n 1Kn 1:5

Tweede kol.

a 2Sa 2:8

b 2Sa 21:8-11

c 2Sa 2:10

d 2Sa 16:21
1Kn 2:22

e 1Sa 15:27, 28
Ps 78:70
Ps 89:20

f Rig 20:1
2Sa 24:2

g 2Sa 3:39

h 2Sa 5:3

i 1Sa 18:20
1Sa 19:11
1Kr 15:29

j 2Sa 2:10

6 Terwyl die oorlog tussen die huis van Saul en die huis van Dawid voortgeduur het, het Abner^a sy posisie in die huis van Saul bly versterk. **7** En Saul het 'n byvrou gehad met die naam Rispa,^b die dogter van Aja. Later het Is-Boset^c vir Abner gesê: “Hoekom het jy by my pa se byvrou geslaap?”^d **8** Abner het baie kwaad geword oor die woorde van Is-Boset en het gesê: “Is ek 'n hond* uit Juda? Ek het tot vandag toe lojale liefde aan die huis van jou pa, Saul, en aan sy broers en sy vriende betoon, en ek het jou nie in Dawid se hande laat val nie. Maar vandag kom soek jy 'n verduideliking by my oor 'n oortreding met 'n vrou. **9** Mag God my swaar straf* as ek nie vir Dawid doen net soos Jehovah vir hom gesweer het nie,^e **10** naamlik om die koninkryk van die huis van Saul weg te neem en om die troon van Dawid te vestig oor Israel en oor Juda, van Dan tot Berse'ba.”^f **11** Is-Boset het nie gewaag om enigiets verder te sê nie, want hy was bang vir Abner.^g

12 Abner het onmiddellik boodskappers na Dawid toe gestuur en gesê: “Aan wie behoort die land?” Hy het bygevoeg: “Maak 'n verbond met my, en ek sal alles doen wat ek kan* om die hele Israel aan u kant te kry.”^h **13** Hy het geantwoord: “Goed. Ek sal 'n verbond met jou maak. Al wat ek vra, is dat jy nie na my toe moet kom tensy jy Migal,ⁱ Saul se dogter, saambring nie.” **14** Toe het Dawid boodskappers na Is-Boset,^j Saul se seun, gestuur en gesê: “Gee my vrou Migal terug, aan wie ek verloop geraak

3:8 *Lett. “hondekop”. **3:9** *Lett. “so aan my doen en daarby voeg”. **3:12** *Lett. “en kyk! my hand is met u”.

het vir 100 voorhuide van die Filistyne.”^a **15** Toe het Is-Boset haar laat wegneem van haar man Pal’tiël,^b die seun van Lajis. **16** Maar haar man het saam met haar bly loop en gehuil terwyl hy agter haar aan geloop het tot by Bahu’rim.^c Toe het Abner vir hom gesê: “Gaan terug!” En hy het teruggegaan.

17 Intussen het Abner ’n boodskap aan die ouermanne van Israel gestuur en gesê: “Julle wil Dawid al lankal as koning oor julle hê. **18** Tree dan nou op, want Jehovah het vir Dawid gesê: ‘Deur die hand van my kneg Dawid^d sal ek my volk Israel van die Filistyne en van al hulle vyande red.’” **19** Toe het Abner met die Benjamine^e gepraat. Abner het ook praat met Dawid in He’bron gaan praat om vir hom te sê wat Israel en die hele huis van Benjamin besluit het.

20 Toe Abner en 20 manne by Dawid in He’bron kom, het Dawid ’n feesmaal gehou vir Abner en die manne by hom. **21** Abner het toe vir Dawid gesê: “Laat ek gaan en die hele Israel by my heer die koning bymekaarbring, sodat hulle ’n verbond met u kan maak, en u sal koning word oor alles wat u begeer.” Daarna het Dawid Abner weggestuur, en hy het in vrede weggegaan.

22 Kort daarna het Dawid se knegte en Joab van ’n strooptog af teruggekom, en hulle het baie goed saamgebring wat hulle by hulle vyande gevat het. Abner was nie meer by Dawid in He’bron nie, want hy het hom in vrede weggestuur. **23** Toe Joab^f en die hele leërmag wat by hom was, daar aankom, is daar vir Joab gesê: “Abner,^g die seun van Ner,^h het na die koning toe gekom, en hy het hom

HFST. 3

a 1Sa 18:25, 27

b 1Sa 25:44

c 2Sa 16:5
1Kn 2:8d 1Sa 13:14
1Sa 15:27, 28
1Sa 16:1, 13
Ps 89:3, 20
Ps 132:17
Han 13:22e 1Sa 10:20, 21
1Kr 12:29

f 2Sa 8:16

g 1Sa 14:50
2Sa 2:8, 22

h 1Sa 14:51

Tweede kol.

a 2Sa 3:20

b 1Kn 2:5

c 2Sa 2:22, 23

d Ge 9:6
Eks 21:12
Nu 35:33
De 21:9e Ps 7:16
Ps 55:23
Spr 5:22

f Le 15:2

g Le 13:44
Nu 5:2h De 27:24
Ps 109:2, 10

i 2Sa 2:24

j 2Sa 2:8

k 2Sa 2:23

weggestuur, en hy het in vrede weggegaan.” **24** Toe het Joab na die koning toe gegaan en gesê: “Wat het u gedoen? Abner het na u toe gekom. Hoekom het u hom laat wegkom? **25** U ken Abner, die seun van Ner! Hy het gekom om u te mislei en om uit te vind waarmee u besig is en wat u alles doen.”

26 Joab het toe van Dawid af weggegaan en boodskappers agter Abner aan gestuur, en hulle het hom toe van die reënput van Sira af teruggebring. Maar Dawid het niks daarvan geweet nie. **27** Toe Abner na He’bron^a terugkeer, het Joab hom binne die poort eenkant toe geneem asof hy alleen met hom wou praat. Maar daar het hy hom in die maag gesteek, en hy het gesterf.^b Joab het dit gedoen omdat Abner sy broer A’sahel doodgemaak het.^c **28** Toe Dawid later daarvan hoor, het hy gesê: “Ek en my koninkryk is vir ewig onskuldig voor Jehovah oor die bloed^d van Abner, die seun van Ner. **29** Mag Joab en die hele huis van sy vader gestraf word.”^e Mag daar in Joab se huis altyd ’n man wees wat ’n afskeiding^f het of melaats^g is of wat by ’n spinwiel werk^h of deur die swaard val of nie genoeg kos het nie!^h **30** Joab en sy broer Abi’saiⁱ het Abner^j doodgemaak omdat hy hulle broer A’sahel in die geveg^k by Gi’beon doodgemaak het.

31 Toe het Dawid vir Joab en al die manne by hom gesê: “Skeur julle klere en bind saklinne om julle en huil oor Abner.” Koning Dawid het self

3:27 * Lett. “vir die bloed van sy broer Asahel”. **3:29** * Of “Mag dit op die kop van . . . terugkom”. ^a Verwys moontlik na ’n kreupel man wat die werk van ’n vrou moet doen.

agter die draagbaar geloop waarop die lyk gedra is. **32** Hulle het Abner in He'bron begrawe. En die koning het hard gehuil by Abner se graf, en almal het begin huil. **33** Die koning het die volgende treurlied oor Abner gesing:

"Moes Abner soos 'n verstandelose sterf?

34 Jou hande was nie gebind nie, en jou voete was nie in boeie* nie.

Jy het gesterf soos iemand wat deur misdadigers# doodgemaak is."a

Toe het almal weer oor hom gehuil.

35 Later, terwyl dit nog dag was, het al Dawid se manne gekom om hom te probeer oorreed om iets te eet,* maar Dawid het gesweer: "Mag God my swaar straf# as ek my mond aan brood of enigiets anders sit voordat die son ondergaan!"b **36** Almal het dit gesien, en dit was goed in hulle oë. Soos alles wat die koning gedoen het, was dit goed in hulle oë. **37** En al Dawid se manne en die hele Israel het op daardie dag geweet dat die koning nie verantwoordelik was vir die dood van Abner, die seun van Ner, nie.c **38** Toe het die koning vir sy knegte gesê: "Weet julle nie dat 'n leier en 'n magtige man vandag in Israel dood is nie?d **39** Vandag is ek swak, al is ek as koning gesalf,e en hierdie manne, die seuns van Seru'ja,f is te wreed vir my.g Mag Jehovah die een wat doen wat sleg is, die straf gee wat hy verdien."h

3:34 *Lett. "koper". #Lett. "die seuns van onregverdigheid". **3:35** *Of "om Dawid brood vir vertroosting te gee". #Lett. "so aan my doen en daarby voeg".

HFST. 3

a 1Kn 2:31, 32

b Rig 20:26

c 2Sa 3:28
1Kn 2:5

d 1Sa 14:50
2Sa 2:8
2Sa 3:12

e 2Sa 2:4

f 1Kr 2:15, 16

g 2Sa 19:13
2Sa 20:10

h 2Sa 3:29
1Kn 2:5, 34

Tweede kol.

HFST. 4

a 2Sa 2:8

b 2Sa 3:27

c Jos 9:17
Jos 18:21, 25

d Ne 11:31, 33

e 1Sa 20:16

f 2Sa 9:3

g 1Sa 29:1, 11

h 2Sa 9:13
1Kr 8:34

i 2Sa 4:2

j 2Sa 2:10

k 1Sa 18:28, 29

l 1Sa 18:10, 11
1Sa 20:1, 33
1Sa 23:15

4 Toe Saul se seun Is-Bo'set^a hoor dat Abner in He'bron^b gesterf het, het hy moed verloor,* en al die Israeliete was ontsteld. **2** Daar was twee manne wat leiers was van die rowerbendes wat aan die seun van Saul behoort het: Die naam van die een was Baäna, en die naam van die ander was Regab. Hulle was seuns van Rimmon, die Beërotiet, van die stam van Benjamin. (Want Be'ërot^c was voorheen deel van Benjamin se gebied. **3** Die Beërotiete het na Gitta'im^d gevlug, en hulle woon tot vandag toe daar as uitlanders.)

4 Saul se seun Jo'natan^e het 'n seun met gebrekkige voete gehad.^f Hy was vyf jaar oud toe die berig oor Saul en Jo'natan uit Jis'reël^g gekom het, en sy oppasser het hom opgetel en haastig gevlug, maar terwyl sy gevlug het, het hy geval, en van toe af was hy gebrekklik. Sy naam was Mefibo'set.^h

5 Regab en Baäna, die seuns van Rimmon, die Beërotiet, het op die warmste tyd van die dag na Is-Bo'set se huis gegaan terwyl hy sy middagslapie geniet het. **6** Hulle het in die huis ingekom deur te maak asof hulle koring gaan haal, en hulle het hom in die maag gestek. Daarna het Regab en sy broer Baäna' ontsnap. **7** Toe hulle in die huis ingegaan het, het hy op sy bed in sy slaapkamer gelê, en hulle het hom doodgemaak, en daarna het hulle sy kop afgekap. Hulle het sy kop gevat en die hele nag lank op die pad na die A'raba geloop. **8** Hulle het Is-Bo'setⁱ se kop na Dawid in He'bron bring en vir die koning gesê: "Hier is die kop van Is-Bo'set, die seun van u vyand Saul^k wat u lewe wou neem.^l Vandag

4:1 *Lett. "het sy hande slap geword".

het Jehovah toegelaat dat daar vir my heer die koning wraak geneem word op Saul en sy nakomelinge."

9 Maar Dawid het vir Regab en sy broer Baäna, die seuns van Rimmon, die Beërotiet, gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, wat my uit alle moeilikede gered het,^a **10** toe iemand vir my kom sê het dat Saul dood is^b en gedink het dat hy vir my goeie nuus bring, het ek hom gegryp en hom daar in Siklag doodgemaak.^c Dit was die beloning wat daardie boodskapper van my ontvang het! **11** Nou het goddelose manne 'n regverdige man in sy eie huis op sy bed vermoor! Moet ek julle dan nie laat boet vir sy dood*^d en julle van die aarde af uitroei nie?" **12** Dawid het toe die jong manne beveel om hulle dood te maak.^e Hulle het hulle hande en voete afgekap en hulle by die dam in He'bron opgehang.^f Maar hulle het Is-Bo'set se kop geneem en dit in die graf van Abner in He'bron begrawe.

5 Ná verloop van tyd het al die stamme van Israel na Dawid in He'bron^g gekom en gesê: "Ons is u vlees en bloed."^h **2** Toe Saul ons koning was, het u Israel in hulle gevegte gelei.ⁱ En Jehovah het vir u gesê: 'Jy sal my volk Israel as herder lei, en jy sal leier oor Israel word.'^j **3** Al die ouerманne van Israel het na die koning in He'bron gekom, en koning Dawid het in He'bron voor Jehovah 'n verbond met hulle gemaak.^k Daarna het hulle Dawid as koning oor Israel gesalf.^l

4 Dawid was 30 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het

4:11 *Lett. "bloed". 5:2 *Lett. "was u die een wat Israel uitbring en ingebring het".

HFST. 4

- a 1Sa 24:12
1Sa 26:25
2Sa 12:7
Ps 34:7
b 2Sa 1:2, 4
c 2Sa 1:13-15
d Ge 9:6
Eks 21:12
Nu 35:16, 30
e Ps 55:23
f De 21:22

HFST. 5

- g 2Sa 2:1, 11
1K 12:23
h 1K 11:1-3
i 1Sa 18:13
1Sa 25:28
j Ge 49:10
1Sa 16:1
1Sa 25:30
2Sa 6:21
2Sa 7:8
1K 28:4
Ps 78:71
k 2Kn 11:17
l 1Sa 16:13
2Sa 2:4
Han 13:22

Tweede kol.

- a 1K 29:26, 27
b Ge 14:18
c Eks 23:23
Jos 15:63
Rig 1:8, 21
d 1K 11:4-6
e 1K 2:10
Ne 12:37
f 1K 9:15, 24
1K 11:27
2K 32:5
g 1K 11:7-9
h 1Sa 16:13
2Sa 3:1
i 1Sa 17:45
j 1Kn 5:1, 8
k 2K 2:3
l 2Sa 7:2
1K 14:1, 2
m 2Sa 7:16
Ps 41:11
Ps 89:21
n Ps 89:27
o 1Kn 10:9
2K 2:11
p 2Sa 15:16

40 jaar lank regeer.^a **5** In He'bron het hy 7 jaar en 6 maande lank oor Juda regeer, en in Jerusalem^b het hy 33 jaar lank oor die hele Israel en Juda regeer. **6** En die koning en sy manne het opgetrek na Jerusalem om teen die Jebusiete te veg^c wat in die land gewoon het. Hulle het Dawid uitgetrek en gesê: "Jy sal nooit hier inkom nie! Selfs die blindes en die kreupeles sal jou verdryf." Hulle het gedink: 'Dawid sal nooit hier inkom nie.'^d **7** Maar Dawid het die vesting Sion ingeneem, wat nou die Stad van Dawid^e is. **8** En Dawid het op daardie dag gesê: "Die manne wat die Jebusiete aanval, moet deur die wattertonnel gaan om 'die kreupeles en die blindes', wat ek haat, dood te maak!" Daarom sê hulle: "Die blinde en die kreupele sal nooit in die huis ingaan nie." **9** Dawid het in die vesting gaan woon, en dit is* die Stad van Dawid genoem. Dawid het oral bouwerk begin doen, van die Wal^f af binnetoe.^g **10** Dawid het al hoe magtiger geword,^h en Jehovah, die God van die leërmagte, was met hom.ⁱ

11 Koning Hiram^j van Tirus het boodskappers na Dawid toe gestuur, en ook sederhout,^k houtwerkers en klipmesselaars om mure te bou, en hulle het vir Dawid 'n paleis* begin bou.^l **12** Dawid het geweet dat Jehovah hom stewig gevestig het as koning oor Israel^m en dat Hy sy koninkryk verheerlikⁿ het ter wille van Sy volk Israel.^o

13 Dawid het nog byvrouens^p en vrouens in Jerusalem geneem nadat hy uit He'bron gekom het, en Dawid het

5:9 *Of moontlik "en hy het dit". ^fOf "Millo". 'n Hebreeuse woord wat "opvolging" beteken. 5:11 *Lett. "huis".

nog seuns en dogters gehad.^a **14** Dit is die name van sy seuns wat in Jerusalem gebore is: Sam'mua, Sobab, Natan,^b Salomo,^c **15** Jibhar, Elisu'a, Nefeg, Ja'fia, **16** Elisa'ma, Elja'da en Elife'let.

17 Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor Israel gesalf is,^d het al die Filistyne gekom om teen Dawid te veg.^e Toe Dawid daarvan hoor, het hy na die skuilplek gegaan.^f **18** En die Filistyne het die Refa'im-vallei^g binnegeval en oral in die vallei versprei. **19** Dawid het Jehovah geraadpleeg^h en gevra: "Moet ek teen die Filistyne gaan veg? Sal u hulle in my hand gee?" Jehovah het vir Dawid gesê: "Gaan, want ek sal die Filistyne beslis in jou hand gee."ⁱ **20** En Dawid het by Baäl-Pe'rasim gekom, en hy het hulle daar verslaan. Hy het toe gesê: "Jehovah het voor my uit gegaan en deur my vyande se leërmag gebreek,^j net soos waters deur 'n muur breek." Daarom het hy daardie plek Baäl-Pe'rasim^{*k} genoem. **21** Die Filistyne het hulle afgode daar agtergelaat, en Dawid en sy manne het dit weggeneem.

22 Later het die Filistyne die Refa'im-vallei^l weer binnegeval en oral in die vallei versprei. **23** Dawid het Jehovah vir leiding gevra, maar Hy het gesê: "Moet hulle nie van voor af aanval nie. Gaan eerder om hulle en val hulle by die baka-bosse van agter af aan. **24** En wanneer jy 'n geluid hoor wat klink soos voetstappe in die toppe van die baka-bosse, moet jy dadelik optree, want dan het Jehovah voor jou uit gegaan om die leërmag van die Filistyne te verslaan." **25** Toe het Dawid gedoen net soos Jehovah hom beveel het,

5:20 *Betekén "Heer van deurbrake".

HFST. 5

a 1Kr 3:5-9

1Kr 14:3-7

b Lu 3:23, 31

c 2Sa 12:24

d 2Sa 5:3

e Ps 2:2

f 1Sa 22:1, 5

1Sa 24:22

2Sa 23:14

1Kr 14:8

g Jos 15:8, 12

1Kr 11:15

1Kr 14:9

h Nu 27:21

i 1Kr 14:10-12

j 2Sa 22:41

k Jes 28:21

l Jos 15:8, 12

1Kr 11:15

1Kr 14:13-17

Tweede kol.

a Le 26:7

b Jos 18:21, 24

c Jos 16:10

HFST. 6

d 1Sa 7:2

1Kn 8:1

1Kr 13:1-5

e De 20:4

1Sa 1:3

1Kr 17:24

f Eks 25:22

1Sa 4:4

1Kr 13:6-11

Ps 80:1

g Eks 25:14

Nu 7:9

Jos 3:14

h 1Sa 7:1

i 1Sa 10:5

j Eks 15:20

k Ps 150:3-5

l Nu 4:15

1Kr 15:2

m Le 10:1, 2

1Sa 6:19

n Spr 11:2

o 1Sa 6:20

Ps 119:120

en hy het die Filistyne verslaan^a van Geba^b af tot by Geser.^c

6 Dawid het weer die beste soldate in Israel bymeekaargekry, 30 000 manne. **2** Toe het Dawid en al die manne by hom na Ba'äle-Ju'da gegaan om die Ark van die ware God te gaan haal.^d Dit is voor hierdie Ark dat die naam van Jehovah van die leërmagte,^e wat op sy troon bo* die gerubs sit,^f aangeroep word. **3** Maar hulle het die Ark van die ware God op 'n nuwe wa^g gesit om dit te vervoer van Abina'dab^h se huis af, wat op die heuwel was. Ussa en Agjo, die seuns van Abina'dab, het die nuwe wa gelei.

4 So het hulle die Ark van die ware God vervoer van Abina'dab se huis af, wat op die heuwel was, en Agjo het voor die Ark geloop. **5** Dawid en die hele huis van Israel het die geleentheid voor Jehovah gevier met allerhande instrumente van jenewerhout, met harpe en ander snaarinstrumente,ⁱ tamboeryne,^j sistrums en simbale.^k **6** Maar toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand na die Ark van die ware God uitgesteek en dit gegryp,^l want die beeste het dit amper laat afval. **7** Toe het Jehovah woedend geword vir Ussa, en die ware God het hom daar doorgemaak^m omdat hy disrespekvol opgetree het,ⁿ en hy het daar langs die Ark van die ware God gesterf. **8** En Dawid het kwaad* geword omdat Jehovah dadelik teen Ussa opgetree het, en daardie plek word tot vandag toe Peres-Ussa[#] genoem. **9** Op daardie dag het Dawid vir Jehovah bang geword^o en gesê: "Hoe

6:2 *Of moontlik "tussen". 6:8 *Of "ontsteld". #Betekén "deurbrake teen Ussa".

sal die Ark van Jehovah nou na my toe gebring word?"^a **10** Dawid wou nie die Ark van Jehovah na hom toe bring in die Stad van Dawid^b nie. Hy het dit eerder na die huis van Obed-Edom,^c die Gittiet, laat neem.

11 Die Ark van Jehovah het drie maande lank in die huis van Obed-Edom, die Gittiet, gebly, en Jehovah het Obed-Edom en sy hele huisgesin bly seën.^d **12** Toe het koning Dawid die volgende boodskap ontvang: "Jehovah het die huis van Obed-Edom en alles wat hy het, geseën weens die Ark van die ware God." En Dawid het gegaan om die Ark van die ware God met vreugde uit die huis van Obed-Edom na die Stad van Dawid te bring.^e **13** Toe die drasers^f van die Ark van Jehovah ses treë gestap het, het hy 'n bul en 'n vetgemaakte dier geoffer.

14 Dawid het met al sy mag voor Jehovah gedans, en hy het die hele tyd 'n linne-efodie aangedra.^g **15** Dawid en die hele huis van Israel het uitgeroep van vreugde^h en op die horing geblaasⁱ terwyl hulle die Ark van Jehovah na die stad gebring het. **16** Maar toe die Ark van Jehovah in die Stad van Dawid inkom, het Saul se dogter Migal^k deur die venster afgekyk en gesien hoe koning Dawid voor Jehovah spring en dans. En sy het hom in haar hart begin verag.^l **17** Toe het hulle die Ark van Jehovah gebring en dit op sy plek gesit in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het.^m Daarna het Dawid brandoffersⁿ en vrede-offers*^o voor Jehovah geoffer.^p **18** Nadat Dawid die brandoffers en die vrede-offers* geoffer het, het hy die volk in die naam van Jehovah van die

6:17, 18 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 6

a 1Kr 13:12-14

b 2Sa 5:7

c 1Kr 15:25

d Ge 30:27
Ge 39:5e 1Kr 15:25, 26
Ps 24:7
Ps 68:24f Nu 4:15
Nu 7:9
Jos 3:3
1Kr 15:2, 15

g 1Kr 15:27, 28

h 1Kr 15:16

i Ps 150:3

j Eks 37:1
Ps 132:8k 1Sa 14:49
1Sa 18:20, 27
2Sa 3:14

l 1Kr 15:29

m 1Kr 15:1

n Le 1:3

o Le 3:1

p 1Kr 16:1-3

Tweede kol.

a 1Sa 18:27

b Eks 22:28

c 1Sa 13:13, 14
1Sa 15:27, 28
1Sa 16:1, 12d 1Sa 14:49
2Sa 6:16

HFST. 7

e 1Kr 17:1

f 2Sa 12:1
1Kr 29:29

g 2Sa 5:11

h 2Sa 6:17

i 1Kn 8:17
1Kr 17:2
1Kr 22:7

leërmagte geseën. **19** En hy het aan die hele volk, aan die hele Israel, aan elke man en vrou, 'n ringvormige brood, 'n dadelkoek en 'n rosynekoek gegee, en daarna het die hele volk na hulle huise toe gegaan.

20 Toe Dawid terugkeer om sy huisgesin te seën, het Saul se dogter Migal^a na Dawid toe uitgekom. Sy het gesê: "Hoe geëerd het die koning van Israel hom tog gemaak toe hy hom vandag voor die slavinne van sy knegte halfkaal uitgetrek het, net soos 'n verstandelose man sy klere in die openbaar uittrek!"^b **21** Dawid het toe vir Migal gesê: "Ek het die geleentheid voor Jehovah gevier, wat my bo jou pa en sy hele huisgesin gekies het en wat my as leier oor Jehovah se volk, Israel, aangestel het.^c Daarom sal ek die geleentheid voor Jehovah vier, **22** en ek sal my nog verder verneder, en ek sal my in my eie oë verlaag. Maar ek sal deur die slavinne wat jy genoem het, verheerlik word." **23** En Saul se dogter Migal^d het tot die dag van haar dood geen kinders gehad nie.

7 Nadat die koning in sy eie paleis*^e ingetrek het en Jehovah hom van al sy vyande om hom rus gegee het, **2** het die koning vir die profeet Natan^f gesê: "Hier woon ek in 'n huis van sederhout,^g terwyl die Ark van die ware God in 'n tent staan."^h **3** Natan het vir die koning gesê: "Gaan doen wat u hart u beweeg om te doen, want Jehovah is met u."ⁱ

4 Maar daardie selfde nag het Jehovah vir Natan gesê: **5** "Gaan sê vir my kneg Dawid: 'Dit is wat Jehovah sê: "Moet jy vir my 'n huis bou om in te

7:1 *Lett. "huis".

woon?^a **6** Van die dag af dat ek die Israeliete uit Egipte gebring het tot vandag toe,^b het ek nie in 'n huis gewoon nie, maar ek het in 'n tent en in 'n tabernakel^c rondgetrek.* **7** Het ek in al die tyd dat ek saam met al die Israeliete rondgetrek het, ooit vir enige van die stamleiers van Israel wat ek as 'n herder oor my volk Israel aangestel het, gevra: 'Hoekom het julle nie vir my 'n huis van sederhout gebou nie?'"^d **8** Sê vir my kneg Dawid: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Ek het jou uit die wêreld geneem, waar jy skape opegepas het,^d om 'n leier oor my volk Israel te word.^e **9** En ek sal met jou wees waar jy ook al gaan,^f en ek sal al jou vyande voor jou vernietig.^g Ek sal vir jou 'n groot naam maak,^h soos dié van die magtige manne van die aarde. **10** Ek sal vir my volk Israel 'n plek gee en hulle daar vestig, en hulle sal in vrede daar woon. En goddelose mense sal hulle nie weer onderdruk soos hulle in die verlede gedoen het nie,ⁱ **11** ja, van die dag af dat ek rigters oor my volk Israel aangestel het.^j En ek sal jou rus gee van al jou vyande.^k

"Jehovah het ook vir jou gesê dat Jehovah vir jou 'n koningshuis sal gee.^l **12** Wanneer jy sterf,^m sal ek jou nageslag,ⁿ jou eie seun,^o koning maak ná jou, en ek sal sy koninkryk stewig vestig.ⁿ **13** Hy is die een wat 'n huis vir my naam sal bou,^o en ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig stewig vestig.^p **14** Ek sal sy vader word, en hy sal my seun word.^q Wanneer hy verkeerd doen, sal ek hom dissi-

7:6 *Lett. "geloop". 7:12 *Lett. "by jou vaders neergelê word". ^aLett. "saad". ^aLett. "een wat uit jou binne-
ste sal voortkom".

HFST. 7

- a 1Kn 5:3
1Kn 8:17-19
1Kr 17:4-6
1Kr 22:7, 8
b Jos 18:1
c Eks 40:18, 34
d 1Sa 16:11
e 2Sa 5:2
1Kr 17:7-10
1Kr 28:4
Ps 78:70, 71
f 1Sa 18:14
2Sa 5:10
g 2Sa 22:1
Ps 18:37
h 1Kr 14:2, 17
i Rig 2:14
Ps 89:20, 22
j Rig 2:16
k De 25:19
l 1Kn 2:24
Ps 89:4
m 1Kn 2:1
n Ge 49:10
1Kn 8:20
1Kr 17:11-14
Ps 132:11
Jes 9:7
Jes 11:1
Mt 21:9
Mt 22:42
Lu 1:32, 33
Joh 7:42
Han 2:30
o 1Kn 5:5
1Kn 6:12
Sag 6:12, 13
p 1Kn 1:37
1Kr 22:10
1Kr 28:7
Ps 89:4, 36
q 1Kr 28:6
Mt 3:17
Heb 1:5

Tweede kol.

- a Ps 89:30, 32
Jer 52:3
b 1Sa 15:23, 26
c Ps 45:6
Ps 89:36
Da 2:44
Heb 1:8
Op 11:15
d 1Kr 17:15
e 1Kr 17:16-22
f 1Sa 16:7
Ps 17:3
g Ps 25:14
h De 3:24
1Kr 16:25
i Eks 15:11
Ps 83:18
j De 4:35
k De 4:7
Ps 147:19, 20
l Eks 3:8
Eks 19:5
Jes 63:9
m Eks 9:16
n De 10:21
o De 26:18
p Eks 15:2

plieer met die lat van mense en met die houe van die menskinders.*^a **15** My lojale liefde sal nie van hom af wegge-
neem word soos ek dit van Saul af wegge-
neem het,^b wat ek voor jou verwyder het nie. **16** Jou huis en jou koninkryk sal vir ewig bestaan, en jou troon sal vir ewig stewig gevestig wees."^c

17 Natan het al hierdie woorde aan Dawid oorgedra en hom van hierdie hele visioen vertel.^d

18 Toe het koning Dawid voor Jehovah gaan sit en gesê: "O Soewereine Heer Jehovah, wie is ek en wat is my huis dat u my so ver gebring het?"^e

19 En asof dit nie genoeg is nie, o Soewereine Heer Jehovah, sê u ook nog dat die huis van u kneg tot in die verre toekoms sal bly bestaan, en dit is wet vir die hele mensdom, o Soewereine Heer Jehovah. **20** Wat kan u kneg Dawid nog vir u sê? Want u ken my so goed,^f o Soewereine Heer Jehovah. **21** U het al hierdie groot dinge gedoen en dit aan u kneg bekend gemaak^g omdat dit u wil is en u dit belowe het. **22** Daarom is u waarlik groot,^h o Soewereine Heer Jehovah. Daar is niemand soos u nie,ⁱ en daar is geen God behalwe u nie.^j Alles wat ons gehoor het, bevestig dit. **23** En watter ander nasie op die aarde is soos u volk Israel?^k God het hulle gaan bevry en hulle sy volk gemaak^l en 'n groot naam vir homself gemaak^m deur groot en ontsagwekkende dinge vir hulle te doen.ⁿ U het die nasies en hulle gode uitgedryf ter wille van u volk, wat u uit Egipte bevry het. **24** U het u volk Israel vir altyd u volk gemaak,^o en u, o Jehovah, het hulle God geword.^p

7:14 *Of moontlik "kinders van Adam".

25 “En nou, o Jehovah God, mag u vir altyd die belofte vervul wat u oor u kneg en sy huis gemaak het, en mag u doen net soos u belowe het.^a **26** Mag u naam vir ewig verheerlik word,^b sodat mense kan sê: ‘Jehovah van die leërmagte is God oor Israel,’ en mag die huis van u kneg Dawid stewig gevestig wees voor u.^c **27** Want u, Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, het vir u kneg gesê: ‘Ek sal vir jou ’n koningshuis gee.’^d Daarom het u kneg die moed* om hierdie gebed tot u te rig. **28** En nou, o Soewereine Heer Jehovah, u is die ware God, en u woorde is die waarheid,^e en u het hierdie goeie dinge aan u kneg belowe. **29** Seën dus asseblief die huis van u kneg, en mag dit vir ewig voor u bestaan,^f want u, o Soewereine Heer Jehovah, het dit belowe, en mag u die huis van u kneg vir ewig seën.”^g

8 Later het Dawid die Filistyne^b verslaan en hulle onderwerp,ⁱ en Dawid het Metegamma by die Filistyne afgevat.

2 Hy het die Moabieteⁱ verslaan en hulle in ’n ry op die grond laat lê. Hy het die ry met ’n tou gemeet om twee-derdes van hulle dood te maak en ’n derde van hulle te laat lewe.^k En die Moabiete het Dawid se knegte geword en het skatting* betaal.^l

3 Dawid het Hadade’ser, die seun van Rehob, die koning van Soba,^m verslaan toe Hadade’ser op pad was om sy beheer oor die gebied by die Eufraatrivierⁿ te herstel. **4** Dawid het 1700 van sy perderuiters en 20 000 van sy voetsoldate gevange geneem. Toe het Dawid die hak-

7:27 *Let. “sy hart gevind”. 8:2, 6 *Sien Woordelys.

HFST. 7

a 1Kr 17:23-27

Ps 89:20, 28

b 1Kr 29:11

Ps 72:19

Mt 6:9

Joh 12:28

c Jes 9:7

Jer 33:22

d 2Sa 7:11

e Nu 23:19

Ps 89:35

Ps 132:11

Joh 17:17

f Ps 89:20, 36

Ps 132:12

g 2Sa 22:51

Ps 72:17

HFST. 8

h Jos 13:2, 3

2Sa 21:15

i 1Kr 18:1

j Nu 24:17

Rig 3:29

1Sa 14:47

Ps 60:8

k De 23:3-6

l 2Kn 3:4

1Kr 18:2

m 2Sa 10:6

1Kn 11:23

Ps 60:Ops

n Ge 15:18

Eks 23:31

1Kn 4:21

1Kr 18:3, 4

Tweede kol.

a De 17:16

Ps 20:7

Ps 33:17

b Jes 7:8

c 1Kr 18:5, 6

d De 7:24

2Sa 8:14

e 1Kr 18:7, 8

f 2Kn 14:28

g 1Kr 18:9-11

h Jos 6:19

1Kn 7:51

1Kr 22:14

1Kr 26:27

i 2Sa 8:2

j 2Sa 8:1

k 1Sa 30:18

l 2Sa 8:7

m 1Kr 18:12, 13

Ps 60:Ops

skenseninge van al die stryd-waperde^a afgesny, maar hy het 100 van die perde laat oorbly.

5 Die Siriërs van Damaskus^b het koning Hadade’ser van Soba kom help, en Dawid het 22 000 van die Siriërs doodgemaak.^c

6 Dawid het toe groepe soldate in Sirië van Damaskus gestasioneer, en die Siriërs het Dawid se knegte geword en het skatting* betaal. Waar Dawid ook al gegaan het, het Jehovah hom die oorwinning* gegee.^d **7** Dawid het ook die ronde skilde van goud van die knegte van Hadade’ser na Jerusalem gebring.^e

8 Koning Dawid het baie koper geneem uit Betag en Berotai^f, stede van Hadade’ser.

9 Koning Toi van Hamat^f het gehoor dat Dawid die hele leërmag van Hadade’ser verslaan het.^g **10** Daarom het Toi sy seun Joram na koning Dawid toe gestuur om sy groete oor te dra en hom geluk te wens omdat hy Hadade’ser verslaan het (want Hadade’ser het dikwels teen Toi geveg). Hy het voorwerpe van silwer, goud en koper saamgebring. **11** Koning Dawid het dit vir Jehovah geheilig, net soos hy gedoen het met die silwer en die goud wat hy geneem het van al die nasies wat hy onderwerp het:^h

12 van Sirië en Moab,ⁱ van die Ammoniete, die Filistyne,^j die Amalekiete^k en van Hadade’ser,^l die seun van Rehob, die koning van Soba. **13** Dawid het ook ’n groot naam vir homself gemaak nadat hy 18 000 Edomiete in die Soutvallei doodgemaak het.^m **14** Hy het groepe soldate in Edom gestasioneer. In die hele Edom het hy groepe soldate gestasioneer, en al die Edomiete het Dawid se knegte

8:6 #Of “redding”.

geword.^a Waar Dawid ook al gegaan het, het Jehovah hom die oorwinning* gegee.^b

15 Dawid het oor die hele Israel bly regeer,^c en hy was 'n regverdige regter^d vir sy hele volk.^e **16** Joab,^f die seun van Seru'ja, was oor die leërmag, en Jo'safat,^g die seun van Ahi'lud, was die geskiedskrywer. **17** Sadok,^h die seun van Ahi'tub, en Ahime'leg, die seun van Abja'tar, was priesters, en Sera'ja was die sekretaris. **18** Bena'ja,ⁱ die seun van Joja'da, was oor die Keretiete en die Peletiete.^j En Dawid se seuns het hoofampptenare* geword.

9 Dawid het toe gevra: "Is daar iemand oor van die huis van Saul aan wie ek lojale liefde kan betoon ter wille van Jo'natan?"^k **2** Toe is 'n kneg van die huis van Saul met die naam Siba^l gevra om na Dawid toe te gaan, en die koning het vir hom gevra: "Is jy Siba?" Hy het geantwoord: "Ja, ek is u kneg." **3** En die koning het gesê: "Is daar iemand oor van die huis van Saul aan wie ek die lojale liefde van God kan betoon?" Siba het vir die koning gesê: "Daar is nog 'n seun van Jo'natan. Albei sy voete is gebreklik."^m **4** Die koning het vir hom gevra: "Waar is hy?" Siba het geantwoord: "Hy is in die huis van Magir,ⁿ die seun van Ammi'ël, in Lo-Debar."

5 Koning Dawid het hom onmiddellik by die huis van Magir, die seun van Ammi'ël, in Lo-Debar laat haal. **6** Toe Mefibo'set, die seun van Jo'natan, die seun van Saul, by Dawid kom, het hy dadelik op sy knieë geval en met sy gesig na die grond toe neergebuig. Toe het Dawid gesê: "Mefibo'set!" Hy

8:14 *Of "redding". 8:18 *Lett. "priesters".

HFST. 8

a Ge 25:23, 26
Ge 27:29, 37
Nu 24:18

b Ps 60:12

c 2Sa 5:3, 5

d 1Kn 3:6

e 1Kr 18:14-17

f 2Sa 20:23
1Kr 11:6

g 2Sa 20:24
1Kn 4:3

h 2Sa 15:27
1Kr 6:8
1Kr 24:3

i 2Sa 23:20
1Kn 1:44
1Kn 2:35

j 2Sa 15:18
2Sa 20:7

HFST. 9

k 1Sa 18:1, 3
1Sa 20:15, 42

l 2Sa 16:1
2Sa 19:17

m 2Sa 4:4
2Sa 9:13
2Sa 19:26

n 2Sa 17:27-29

Tweede kol.

a Spr 11:17

b 2Sa 19:28
Spr 11:25

c 1Sa 24:14

d 2Sa 9:1
2Sa 16:4
2Sa 19:29

e 2Sa 19:28

f 2Sa 19:17

g 1Kr 8:34
1Kr 9:40

h 2Sa 9:7
2Sa 19:28

i 2Sa 4:4

HFST. 10

j Ge 19:36, 38
Rig 10:7
Rig 11:12, 33
1Sa 11:1

k 1Kr 19:1-5

het geantwoord: "Hier is u kneg." **7** Dawid het vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want ek sal vir seker lojale liefde^a aan jou betoon ter wille van jou pa, Jo'natan, en ek sal al die grond van jou oupa, Saul, aan jou teruggee, en jy sal altyd aan my tafel eet."^{*b}

8 Hy het toe neergebuig en gesê: "Wat is u kneg dat u aandag skenk aan 'n dooie hond^c soos ek?" **9** Die koning het Siba, Saul se dienaar, laat roep en vir hom gesê: "Alles wat aan Saul en aan sy hele huis behoort het, gee ek aan die kleinseun van jou meester.^d **10** Jy moet die grond vir hom bewerk, jy en jou seuns en jou knegte, en jy moet die opbrengs insammel om kos te voorsien aan almal wat aan die kleinseun van jou meester behoort. Maar Mefibo'set, die kleinseun van jou meester, sal altyd aan my tafel eet."^e

En Siba het 15 seuns en 20 knegte gehad.^f **11** Toe het Siba vir die koning gesê: "U kneg sal alles doen wat my heer die koning beveel." Mefibo'set het toe aan Dawid se* tafel geëet soos een van die koning se seuns. **12** Mefibo'set het ook 'n jong seun gehad met die naam Miga.^g En almal wat in die huis van Siba gewoon het, het knegte van Mefibo'set geword. **13** En Mefibo'set het in Jerusalem gewoon omdat hy altyd aan die tafel van die koning geëet het.^h Albei sy voete was gebreklik.ⁱ

10 Later het die koning van die Ammoniete gesterf,^j en sy seun Hanun het in sy plek koning geword.^k **2** Toe het Dawid gesê: "Ek sal lojale liefde

9:7 *Lett. "aan my tafel brood eet". 9:11 *Of moontlik "aan my".

aan Hanun, die seun van Nahas, betoon, net soos sy pa lonale liefde aan my betoon het." Daarom het Dawid sy knegte gestuur om Hanun ná sy pa se dood te vertroos. Maar toe Dawid se knegte in die land van die Ammoniete kom, **3** het die leiers van die Ammoniete vir hulle heer Hanun gevra: "Dink u dat Dawid vertroosters na u toe stuur om u pa te eer? Is dit nie om die stad te deursoek en om dit te verken en om dit te verwoes dat Dawid sy knegte na u toe gestuur het nie?" **4** Hanun het Dawid se knegte toe geneem en die helfte van hulle baarde afgeskeer^a en hulle klere by die heupe afgesny en hulle weggestuur. **5** Toe Dawid hiervan hoor, het hy dadelik manne na hulle toe gestuur om hulle te gaan ontmoet omdat die manne baie verneder gevoel het. En die koning het vir hulle gesê: "Bly in Je'rigo^b totdat julle baarde teruggroei, en dan moet julle terugkom."

6 Met verloop van tyd het die Ammoniete besef dat Dawid hulle begin haat het, en daarom het die Ammoniete manne gestuur om 20 000 Siriese voetsoldate van Bet-Rehob^c en Soba te huur.^d Hulle het ook die koning van Ma'äga^e met 1 000 manne en 12 000 manne van Istob* gehuur.^f **7** Toe Dawid hiervan hoor, het hy Joab en die hele leërmag, insluitende sy magtigste vegters, gestuur.^g **8** En die Ammoniete het in gevegsformasie by die ingang van die stadspoort gaan staan, terwyl die Siriërs van Soba en van Rehob, sowel as Istob* en Ma'äga eenkant in die oop veld was.

9 Toe Joab sien dat hy van voor en van agter aangeval word, het hy van die beste sol-

HFST. 10

a Le 19:27

b Jos 18:21

c Nu 13:21

d 2Sa 8:5

e Jos 13:13

f 1Kr 19:6, 7

g 2Sa 23:8
1Kr 19:8, 9

Tweede kol.

a 1Kr 19:10-13

b 1Sa 26:6
2Sa 2:18
2Sa 23:18
1Kr 2:15, 16

c Nu 21:24

d De 31:6

e Ps 37:5
Ps 44:5
Spr 29:25

f 1Kr 19:14, 15

g 1Kr 19:16

h 2Sa 8:3-5

i Ge 15:18
Eks 23:31

j 1Kr 19:17-19

k De 20:1
Ps 18:37, 38

date in Israel gekies en hulle in gevegsformasie laat staan om teen die Siriërs te veg.^a **10** Hy het die res van die manne onder die bevel* van sy broer Abi'sai^b geplaas sodat hulle in gevegsformasie teen die Ammoniete kon gaan veg.^c **11** Toe het hy gesê: "As die Siriërs vir my te sterk word, dan moet jy my kom red, maar as die Ammoniete vir jou te sterk word, sal ek jou kom red. **12** Ons moet sterk en moedig^d wees ter wille van ons volk en die stede van ons God, en Jehovah sal doen wat goed is in sy oë."^e

13 Joab en sy manne het teen die Siriërs gaan veg, en hulle het voor hom gevlug.^f **14** Toe die Ammoniete sien dat die Siriërs gevlug het, het hulle van Abi'sai af gevlug en in die stad ingegaan. Nadat Joab teen die Ammoniete geveg het, het hy na Jerusalem teruggegaan.

15 Toe die Siriërs sien dat Israel hulle verslaan het, het hulle weer bymekaargekom.^g **16** En Hadade'ser^h het die Siriërs laat roep wat in die streek van die Rivier*ⁱ was, en hulle het toe na Helam gegaan. Sobag, die hoof van Hadade'ser se leërmag, het hulle gelei.

17 Toe Dawid hiervan hoor, het hy onmiddellik die hele Israel bymekaar laat kom en deur die Jordaanrivier getrek en ook na Helam gegaan. Die Siriërs het toe in gevegsformasie gaan staan en teen Dawid geveg.^j **18** Maar die Siriërs het voor Israel gevlug. Dawid het 700 van die Siriërs se strydswadrywers en 40 000 van hulle perderuiters doodgemaak, en hy het Sobag, die hoof van hulle leërmag, daar doodgemaak.^k **19** Toe al die konings, die knegte van

10:10 * Lett. "in die hand". **10:16** * Die Eufraatrivier.

Hadade'ser, sien dat Israel hulle verslaan het, het hulle dadelik met Israel vrede gemaak en hulle onderdane geword.^a En van toe af was die Siriërs bang om die Ammoniete te help.

11 Aan die begin van die jaar,* die tyd wanneer konings uitgaan om oorlog te voer, het Dawid vir Joab en sy knegte en die hele leërmag van Israel gestuur om die Ammoniete te vernietig. Hulle het Rabba beleër,^b terwyl Dawid in Jerusalem gebly het.^c

2 Een aand* het Dawid van sy bed af opgestaan en op die dak van die koning se paleis^d gaan loop. Van die dak af het hy 'n vrou gesien wat bad, en die vrou was baie mooi. **3** Dawid het iemand gestuur om uit te vind wie die vrou is, en hy het vir hom kom sê: "Dit is Batse'ba,^d die dogter van Eli'am,^e die vrou van Uri'a,^f die Hetiet."^g

4 Toe het Dawid boodskappers gestuur om haar na hom toe te bring.^h Sy het na hom toe gekom, en hy het seksuele omgang met haar gehad.ⁱ (Dit het gebeur in die tyd van haar reiniging.)^j Daarna het sy na haar huis teruggegaan.

5 Die vrou het swanger geword, en sy het vir Dawid 'n boodskap gestuur om te sê dat sy swanger is. **6** Toe het Dawid vir Joab 'n boodskap gestuur en gesê: "Stuur Uri'a, die Hetiet, na my toe." Joab het Uri'a dus na Dawid toe gestuur. **7** Toe Uri'a by hom kom, het Dawid hom gevra hoe dit met Joab gaan en hoe dit met die manne gaan en hoe dit met die oorlog gaan. **8** Dawid het toe vir

11:1 *D.w.s. in die lente. 11:2 *Of "Laat een middag". 11:2, 8, 9 ^aLett. "huis". 11:4 *Moontlik ná haar menstruele onreinheid.

HFST. 10

a Ge 15:18
De 20:10, 11

HFST. 11

b 2Sa 12:26

c 1Kr 20:1

d 2Sa 12:24
1Kn 1:11

e 1Kr 3:5, 9

f 2Sa 23:8, 39
1Kn 15:5g Ge 10:15
De 20:17

h Eks 20:14, 17

i Le 18:20
Le 20:10
Spr 6:32
Heb 13:4j Le 12:2
Le 15:19
Le 18:19

Tweede kol.

a 2Sa 6:17
2Sa 7:2b Le 15:16
1Sa 21:5c Ps 51:14
Spr 3:29

Uri'a gesê: "Gaan na jou huis toe en ontspan."^a Nadat Uri'a die koning se paleis^d verlaat het, is 'n geskenk van die koning^a agter hom aan gestuur. **9** Maar Uri'a het by die ingang van die koning se paleis^d by die ander knegte van sy heer geslaap, en hy het nie na sy eie huis toe gegaan nie. **10** Daar is vir Dawid gesê: "Uri'a het nie huis toe gegaan nie." Dawid het toe vir Uri'a gevra: "Het jy nie nou net van 'n reis af teruggekom nie? Hoekom het jy nie huis toe gegaan nie?" **11** Uri'a het vir Dawid gesê: "Die Ark^a en Israel en Juda woon in tente, en die kamp van my heer Joab en die knegte van my heer is in die oop veld. Hoe kan ek dan huis toe gaan om te eet en te drink en by my vrou te slaap?^b So waar as wat u lewe, ek sal dit nie doen nie!"

12 Toe het Dawid vir Uri'a gesê: "Bly vandag ook hier, en môre sal ek jou wegstuur." Daarom het Uri'a daardie dag en die volgende dag in Jerusalem gebly. **13** Dawid het hom toe laat roep om saam met hom te eet en te drink, en hy het hom dronk gemaak. Maar daardie aand het Uri'a op sy bed by die knegte van sy heer gaan slaap, en hy het nie na sy huis toe gegaan nie. **14** In die oggend het Dawid 'n brief aan Joab geskryf en dit saam met Uri'a gestuur. **15** Hy het in die brief geskryf: "Sit Uri'a aan die voerpunt waar die geveg op sy ergste is. Dan moet julle agter hom terugtrek sodat hy doodgemaak kan word."^c

16 Joab het die stad fyn dopgehou, en hy het waar Uri'a op 'n plek gesit wat hy gewest het dat daar magtige vegters is.

11:8 ^aLett. "was jou voete". ^aOf "die koning se porsie", d.w.s. kos wat 'n gasheer aan 'n geëerde gas gestuur het.

17 Toe die manne van die stad uitkom om teen Joab te veg, is party van Dawid se knegte doodgemaak, en Uri'a, die Hetiet, was onder dié wat gesterf het.^a 18 Joab het toe vir Dawid 'n boodskap gestuur met al die nuus oor die oorlog. 19 Hy het vir die boodskapper gesê: "Nadat jy vir die koning al die nuus oor die oorlog gegee het, 20 sal hy dalk kwaad word en vir jou sê: 'Hoekom moes julle so naby die stad gaan veg? Het julle nie geweet dat hulle van die muur af sou skiet nie?' 21 Wie het Abime'leg,^b die seun van Jerubbe'set,^c doodgemaak? Was dit nie 'n vrou wat 'n meulsteen van die muur af op hom gegooi het en so sy dood in Tebes veroorsaak het nie? Hoekom moes julle so na aan die muur gaan?' Dan moet jy sê: 'U kneg Uri'a, die Hetiet, het ook gesterf.'"

22 Toe het die boodskapper na Dawid toe gegaan en hom alles vertel wat Joab vir hom gesê het. 23 Die boodskapper het toe vir Dawid gesê: "Hulle manne het die oorhand oor ons gekry en hulle het tot in die veld teen ons uitgekom, maar ons het hulle teruggedryf tot by die ingang van die stadspoort. 24 En die boogskutters het van die muur af op u knegte geskiet, en party van die koning se knegte het gesterf. U kneg Uri'a, die Hetiet, het ook gesterf."^d 25 Toe het Dawid vir die boodskapper gesê: "Sê vir Joab: 'Moenie ontsteld wees daaroor nie, want enigeen kan deur die swaard doodgemaak word. Baklei nog harder teen die stad en verower dit.'^e En moedig hom aan."

26 Toe Uri'a se vrou hoor dat haar man gesterf het, het sy oor haar man begin rou. 27 On-

HFST. 11

a 2Sa 12:9

b Rig 9:50-53

c Rig 6:32

Rig 7:1

d 2Sa 11:17

e 2Sa 12:26

Tweede kol.

a 2Sa 5:13

2Sa 12:9

b Ge 39:7-9

1Kn 15:5

Ps 5:6

Ps 11:4

Heb 13:4

HFST. 12

c 1Kn 1:8

1Kr 17:1

1Kr 29:29

d Ps 51:Ops

e 2Sa 5:13

2Sa 15:16

f 2Sa 11:3

g 2Sa 11:4

h De 6:13

i Eks 22:1

j 1Sa 16:13

2Sa 7:8

k 1Sa 18:10, 11

1Sa 19:10

1Sa 23:14

l 1Sa 13:13, 14

1Sa 15:26, 28

middellik nadat die routyd verby was, het Dawid haar laat roep en haar na sy huis toe gebring, en sy het sy vrou geword^a en aan 'n seun geboorte gegee. Maar wat Dawid gedoen het, was baie sleg in Jehovah se oë.^b

12 Jehovah het Natan^c na Dawid toe gestuur. Natan het na hom toe gegaan^d en vir hom gesê: "Daar was twee mans in een stad, die een was ryk en die ander arm. 2 Die ryk man het baie skape en beeste gehad,^e 3 maar die arm man het niks gehad nie behalwe een oolammetjie wat hy gekoop het.^f Hy het haar versorg, en sy het by hom en sy seuns grootgeword. Sy het van die bietjie kos wat hy gehad het, geëet en uit sy beker gedrink en in sy arms geslaap. Sy het soos 'n dogter vir hom geword. 4 Later het daar 'n besoeker na die ryk man toe gekom, maar hy wou nie van sy eie skape en beeste neem om 'n ete voor te berei vir die reisiger wat na hom toe gekom het nie. Hy het eerder die arm man se lammetjie geneem en dit vir die besoeker voorberei."^g

5 Dawid het toe baie kwaad geword vir hierdie man en hy het vir Natan gesê: "So waar as wat Jehovah lewe,^h die man wat dit gedoen het, verdien om te sterf! 6 En hy moet vier keer die waarde van die lammetjie geeⁱ omdat hy dit gedoen het en omdat hy geen medelye* gehad het nie."

7 Toe het Natan vir Dawid gesê: "U is die man! Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek het jou as koning oor Israel gesalf,^j en ek het jou uit Saul se hand gered.^k 8 Ek het die huis van jou meester^l en die

12:6 *Sien Woordelys.

vrouens van jou meester vir jou gegee,^a en ek het die huis van Israel en van Juda vir jou gegee.^b En asof dit nie genoeg was nie, was ek bereid om nog baie meer vir jou te doen.^c **9** Hoekom het jy geen respek vir die woord van Jehovah getoon nie deur te doen wat sleg is in sy oë? Jy het Uri'a, die Hetiet, met die swaard doodgemaak!^d Toe het jy sy vrou as jou vrou geneem^e nadat jy hom deur die swaard van die Ammoniete doodgemaak het.^f **10** Nou sal die swaard nooit uit jou huis weggaan nie^g omdat jy geen respek aan my betoon het toe jy die vrou van Uri'a, die Hetiet, as jou vrou geneem het nie.' **11** Dit is wat Jehovah sê: 'Ek sal uit jou eie huis rampspoed oor jou bring.^h En ek sal jou vrouens voor jou oë neem en hulle vir 'n ander man gee,ⁱ en hy sal oop en bloot* by jou vrouens slaap.^j **12** Hoewel jy dit in die geheim gedoen het,^k sal ek dit oop en bloot* voor die hele Israel doen.'"

13 Dawid het toe vir Natan gesê: "Ek het teen Jehovah gesondig." Natan het geantwoord: "Jehovah vergewe u sonde."^m U sal nie sterf nie.ⁿ **14** Maar omdat u in hierdie saak geen respek vir Jehovah getoon het nie, sal die seun wat nou vir u gebore is, sekerlik sterf."

15 Toe het Natan na sy eie huis gegaan.

En Jehovah het die kind van Dawid en Uri'a se vrou siek laat word. **16** Dawid het die ware God gesmeek om die seun se lewe te spaar. Dawid het streng begin vas en hy het elke aand in sy kamer ingegaan en die hele nag op die grond gelê.^o **17** Toe het die ouermanne van sy huis by hom gaan staan en hom pro-

12:11 *Lett. "voor die oë van hierdie son". 12:12 *Lett. "voor die son".

HFST. 12

- a 2Sa 3:7
1Kn 2:22
b 2Sa 2:4
2Sa 5:5
c 2Sa 7:19
d Eks 20:13
e Eks 20:14, 17
f 2Sa 11:15, 27
g Nu 14:18
2Sa 13:32
2Sa 18:33
Ga 6:7
h 2Sa 12:15, 19
2Sa 13:10-15
2Sa 15:14
i Eks 21:24
Job 31:9-11
Job 34:11
j 2Sa 16:21, 22
k 2Sa 11:4, 15
l Ge 39:9
Ps 32:5
Ps 38:3
Ps 51:Ops, 4
Spr 28:13
m Eks 34:6
Ps 32:1
n Le 20:10
Ps 103:10
o 2Sa 12:22
Jon 3:8, 9

Tweede kol.

- a Rut 3:3
2Sa 14:2
b 2Sa 6:17
c 2Sa 12:16
Jl 1:14
d Jes 38:3, 5
Jl 2:13, 14
Am 5:15
Jon 3:8, 9
e Pr 9:6
f Job 30:23
Pr 3:20
Han 2:29, 34
Han 13:36
g Pr 9:5, 10
h 2Sa 11:3

beer oorreed om van die grond af op te staan, maar hy het geweier en wou nie saam met hulle eet nie. **18** Op die sewende dag het die kind gesterf, maar Dawid se knegte was bang om hom te vertel dat die kind dood is. Hulle het gesê: "Toe die kind nog gelewe het, het hy nie na ons geluister toe ons met hom gepraat het nie. Hoe kan ons dan vir hom sê dat die kind gesterf het? Hy sal miskien iets verskrikliks doen."

19 Toe Dawid sien dat sy knegte onder mekaar fluister, het Dawid besef dat die kind gesterf het. Dawid het vir sy knegte gevra: "Het die kind gesterf?" Hulle het geantwoord: "Ja, hy het gesterf." **20** Dawid het toe van die grond af opgestaan. Hy het gewas, olie aan hom gesmeer,^a ander klere aangetrek en na die huis van Jehovah gegaan om te aanbid.^b Daarna het hy na sy paleis* toe gegaan en gevra dat kos na hom toe gebring moet word, en hy het geëet. **21** Sy knegte het vir hom gesê: "Hoekom het u so opgetree? Toe die kind gelewe het, het u gevas en die hele tyd gehuil, maar toe die kind sterf, het u opgestaan en geëet." **22** Hy het geantwoord: "Toe die kind gelewe het, het ek gevas^c en die hele tyd gehuil omdat ek vir myself gesê het: 'Wie weet of Jehovah genadig teenoor my sal wees en die kind sal laat lewe?'^d **23** Hoekom moet ek vas noudat hy gesterf het? Kan ek hom terugbring?^e Ek sal na hom toe gaan,^f maar hy sal nie na my toe terugkom nie."^g

24 Dawid het sy vrou Batse'ba toe vertroos.^h Hy het na haar toe gegaan en by haar geslaap. Ná verloop van tyd het sy aan 'n seun geboorte gegee, en hy is

12:20 *Lett. "huis".

Salomo^a genoem. En Jehovah was lief vir hom,^b **25** en hy het deur middel van die profeet Natan^c laat weet dat hy Jedid'ja^a genoem moet word omdat Jehovah lief was vir hom.

26 Joab het teen Rabba^d van die Ammoniete^e bly veg, en hy het die koninklike stad^f ingeneem.^f **27** Toe het Joab boodskappers na Dawid toe gestuur en gesê: "Ek het teen Rabba geveg,^g en ek het die stad van waters^g ingeneem. **28** Kry dan nou die res van die soldate bymekaar en slaan kamp op naby die stad en neem dit in. Anders sal ek die stad inneem en die eer daarvoor kry."^h

29 Dawid het toe al die soldate bymekaargekry en na Rabba gegaan en daarteen geveg en dit ingeneem. **30** Toe het hy die kroon van Malkam^h se kop afgehaal. Dit was van een talentⁱ goud gemaak en met edelstene versier. Die kroon is toe op Dawid se kop gesit. Hy het ook baie buit uit die stadⁱ geneem.ⁱ **31** Hy het die mense van die stad gevange geneem, en hy het hulle klippe laat saag en hulle met skerp ystergereedskap en ysterbyle laat werk en hulle stene laat maak. Dit is wat hy met al die stede van die Ammoniete gedoen het. Uiteindelik het Dawid en al die soldate na Jerusalem terugkeer.

13 Dawid se seun Absalom het 'n pragtige suster gehad met die naam Tamar.^j En Dawid se seun Amnon^k het op

12:24 *Van 'n Hebreeuse woord wat "vrede" beteken. **12:25** *Beteken "geliefde van Jah". **12:26** *Of "die stad van die koninkryk". **12:27** *Verwys moontlik na die waterbronne van die stad. **12:28** *Lett. "en my naam sal daarvoor uitgeroep word". **12:30** *Sien Woordelys. #'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 12

a 1Kr 3:5,9
1Kr 22:9
1Kr 28:5
Mt 1:6

b 2Sa 7:12
1Kr 29:1

c 2Sa 7:4,5
2Sa 12:1
1Kn 1:8

d De 3:11
Jos 13:24,25

e De 23:3,6

f 2Sa 11:25
1Kr 20:1

g 2Sa 11:1

h 1Kr 20:2,3

i 2Sa 8:11,12

HFST. 13

j 1Kr 3:9

k 2Sa 3:2

Tweede kol.

a 2Sa 13:35

b 1Sa 16:9
1Kr 2:13

c Le 18:9
Le 20:17

haar verlief geraak. **2** Amnon was so ontsteld dat hy siek geword het oor sy suster Tamar. Sy was 'n maagd, en dit het vir hom onmoontlik gelyk om naby haar te kom. **3** Amnon het 'n vriend gehad met die naam Jo'nadab,^a die seun van Dawid se broer Simea.^b En Jo'nadab was 'n baie slinkse man. **4** Hy het vir hom gevra: "Hoekom is jy, die seun van die koning, elke oggend so terneergedruk? Sê vir my." Amnon het geantwoord: "Ek is verlief op Tamar, die suster^c van my broer Absalom." **5** Jo'nadab het vir hom gesê: "Gaan lê op jou bed en maak asof jy siek is. Wanneer jou pa jou kom sien, moet jy vir hom sê: 'Laat my suster Tamar asseblief vir my 'n bietjie kos kom bedien. As sy die kos* voor my maak, sal ek dit by haar neem.'" **6** Amnon het toe gaan lê en gemaak asof hy siek is, en die koning het ingekom om hom te sien. Toe het Amnon vir die koning gesê: "Laat my suster Tamar asseblief inkom en twee hartvormige koeke voor my bak sodat ek dit by haar kan neem." **7** Tamar was by die huis, en Dawid het die volgende boodskap aan haar gestuur: "Gaan asseblief na die huis van jou broer Amnon en maak vir hom kos."^h **8** Tamar het toe na die huis van haar broer Amnon gegaan, waar hy gelê het. Sy het daar voor hom die deeg geneem, dit geknie, dit in koeke gevorm en die koeke gaargemaak. **9** Daarna het sy die pan geneem en hom bedien. Maar Amnon het geweier om te eet en het gesê: "Stuur almal van my af weg!" Toe het almal van hom af weggegaan.

10 Amnon het toe vir Tamar gesê: "Bring die kos* na

13:5, 7, 10 *Of "brood vir vertroosting".

die slaapkamer, sodat jy dit vir my kan gee." Toe het Tamar die hartvormige koeke wat sy gemaak het, na haar broer Amnon in die slaapkamer geneem.

11 Toe sy dit vir hom gee om te eet, het hy haar gegryp en gesê: "Kom, lê by my, my suster." **12** Maar sy het vir hom gesê: "Nee, my broer! Moenie my verneder nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie.^a Moenie hierdie skandelijke ding doen nie.^b **13** Hoe sou ek so 'n skande kon verduur? En jy sal 'n baie slegte reputasie in Israel kry. Gaan praat asseblief met die koning, want hy sal my vir seker vir jou gee." **14** Maar hy het geweier om na haar te luister, en hy het haar oorweldig en haar verneder deur haar te verkrag. **15** Toe het Amnon haar intens begin haat. Sy haat vir haar was selfs groter as die liefde wat hy voorheen vir haar gehad het. Amnon het vir haar gesê: "Staan op. Gaan weg!" **16** Sy het toe vir hom gesê: "Nee, my broer, om my nou weg te stuur, sal nog erger wees as wat jy reeds aan my gedoen het!" Maar hy het geweier om na haar te luister.

17 Toe het hy sy jong dienaar geroep en gesê: "Neem hierdie vrou asseblief van my af weg en sluit die deur agter haar." **18** (Sy het 'n spesiale* kleed aangehad, want dit is wat die dogters van die koning wat nog maagde was, gedra het.) Sy dienaar het haar buitentoe geneem, en hy het die deur agter haar gesluit. **19** Toe het Tamar as op haar kop gesit^c en die pragtige kleed wat sy aangehad het, geskeur. En sy het haar hande op haar kop gehou en geskree terwyl sy weggeloop het.

13:18 *Of "versierde".

HFST. 13

a Le 18:9,29
Le 20:17
De 27:22

b Ge 34:2,7
Rig 20:5,6

c Jos 7:6
Est 4:1
Jer 6:26

Tweede kol.

a 2Sa 3:3
2Sa 13:1

b Le 18:9
De 27:22

c Spr 19:13

d Spr 18:19

e Ge 34:7

f Joh 11:54

g 1Kn 1:9,19

h Ps 55:21
Spr 10:18
Spr 26:24-26

20 Toe het haar broer Absalom^a vir haar gesê: "Was dit jou broer Amnon wat by jou was? Bly dan nou stil, my suster. Hy is jou broer.^b Moenie te veel daaraan dink nie." Tamar het toe in afsondering in die huis van haar broer Absalom gewoon. **21** Toe koning Dawid van al hierdie dinge hoor, het hy baie kwaad geword.^c Maar hy wou nie die gevoelens van sy seun Amnon seermaak nie, want hy het hom liefgehad omdat hy sy eersgeborene was. **22** En Absalom het niks vir Amnon gesê nie, nie iets goeds of iets slegs nie, want Absalom het Amnon gehaat^d omdat hy sy suster Tamar verneder het.^e

23 Twee jaar later was Absalom se skaapskeerders by Baäl-Hasor, naby E'fraim,^f en Absalom het al die koning se seuns genooi.^g **24** Toe het Absalom by die koning gekom en gesê: "Ek laat my skape skeer! Kom asseblief saam met my en laat u knegte ook saamkom." **25** Maar die koning het vir Absalom gesê: "Nee, my seun. As ons almal gaan, sal ons vir jou 'n las wees." Hoewel Absalom hom bly vra het, wou die koning nie gaan nie, maar hy het hom geseën. **26** Absalom het toe gesê: "As u nie wil saamgaan nie, laat my broer Amnon dan asseblief saam met ons gaan."^h Die koning het geantwoord: "Hoekom moet hy saam met jou gaan?" **27** Maar Absalom het by hom aangedring, en daarom het hy Amnon en al die koning se seuns saam met hom gestuur.

28 Toe het Absalom sy dienaars die volgende bevel gegee: "Hou Amnon dop, en wanneer hy vrolik is van die wyn, sal ek vir julle sê: 'Maak Amnon dood!' Dan moet julle hom doodmaak. Moenie bang wees nie.

Ek het julle mos die bevel gegee. Wees sterk en moedig.” **29** Absalom se dienaars het toe aan Amnon gedoen net soos Absalom beveel het. Toe het al die ander seuns van die koning opgestaan, op hulle muile geklim en gevlug. **30** Terwyl hulle op pad was, het Dawid die nuus gehoor: “Absalom het al die seuns van die koning doodgemaak, en nie een van hulle het oorleef nie.” **31** Toe het die koning opgestaan en sy klere geskeur en op die grond gaan lê, en al sy knegte het met geskeurde klere daar gestaan.

32 Maar Jo'nadab,^a die seun van Dawid se broer Simea,^b het gesê: “My heer moenie dink dat al die jong manne, die seuns van die koning, doodgemaak is nie, want dit is net Amnon wat gesterf het.^c Absalom het beveel dat hy doodgemaak moet word.^d Hy het beplan om dit te doen van die dag af dat Amnon sy suster^e Tamar^f verneder het. **33** My heer die koning moenie die berig glo* dat al die koning se seuns gesterf het nie. Net Amnon het gesterf.”

34 Intussen het Absalom gevlug.^g Later het die wag baie mense op die pad aan die kant van die berg sien aankom. **35** Toe het Jo'nadab^h vir die koning gesê: “Ky! Die koning se seuns het teruggekom. Dit is net soos u kneg gesê het.” **36** Net toe hy dit sê, het die koning se seuns al huilende daar aangekom. En die koning en al sy knegte het bitterlik gehuil. **37** Maar Absalom het gevlug en gegaan na Talmi,ⁱ die seun van Ammi'hud, die koning van Gesur. Dawid het baie dae oor sy seun getreur. **38** Nadat Absalom na Gesur^j gevlug het, het hy drie jaar lank daar gebly.

13:33 *Lett. “ter harte neem”.

HFST. 13
a 2Sa 13:3

b 1Sa 16:9
1Kr 2:13

c 2Sa 12:10

d Ge 27:41
Ps 7:14
Spr 18:19

e Le 18:9, 29

f 2Sa 13:12-14

g 2Sa 13:38

h 2Sa 13:3

i 2Sa 3:3

j De 3:14
Jos 12:4, 5
2Sa 14:23

Tweede kol.

HFST. 14

a 2Sa 2:18
1Kr 2:15, 16

b 2Sa 13:39
2Sa 18:33
2Sa 19:2

c 2Kr 11:5, 6
2Kr 20:20
Am 1:1

d Pr 9:8
Da 10:3

e Nu 35:19
De 19:11, 12

39 Ná verloop van tyd het koning Dawid Amnon se dood aanvaar en na Absalom begin verlang.

14 Joab, die seun van Seru'ja,^a het gehoor dat die koning na Absalom verlang.^b **2** Toe het Joab 'n wyse vrou uit Teko'a^c laat haal en vir haar gesê: “Maak asseblief asof jy rou en trek rouklere aan, en moenie olie aan jou smeer nie.^d Tree op soos 'n vrou wat al lank treur oor iemand wat dood is. **3** En dan moet jy na die koning toe gaan en die volgende vir hom sê.” Toe het Joab vir haar gesê wat om te sê.

4 Die vrou van Teko'a het na die koning toe gegaan en op haar knieë geval en met haar gesig na die grond toe neergebuig en gesê: “Help my, o koning!” **5** Die koning het vir haar gevra: “Wat is fout?” Sy het geantwoord: “Ek is 'n weduwee. My man is dood. **6** En ek, u diensmeisie, het twee seuns gehad, en hulle twee het in die veld met mekaar baklei. Daar was niemand om hulle van mekaar te skei nie, en die een het die ander een doodgemaak. **7** Nou het die hele familie teen my, u diensmeisie, gedraai, en hulle sê: ‘Gee die een wat sy broer doodgemaak het, sodat ons hom kan doodmaak omdat hy sy broer doodgemaak het,^e al beteken dit dat ons die erfgenaam doodmaak! Hulle wil my seun, my laaste hoop, doodmaak en my man se naam en nageslag* van die oppervlak van die aarde laat verdwyn.”

8 Toe het die koning vir die vrou gesê: “Gaan na jou huis toe, en ek sal die saak hanteer.” **9** Die vrou van Teko'a het toe vir die koning gesê: “O my heer

14:7 *Lett. “oorblyfsel”.

die koning, laat ek en die huis van my vader die skuld hiervoor dra, maar die koning en sy troon sal onskuldig bly.”

10 Die koning het toe gesê: “As enigiemand weer hieroor met jou praat, moet jy hom na my toe bring. Dan sal hy jou nooit weer pla nie.” **11** Maar sy het gesê: “Laat die koning asseblief aan Jehovah u God dink, sodat die bloedwreker^a nie nog skade aanrig en my seun doodmaak nie.” Toe het hy gesê: “So waar as wat Jehovah lewe,^b daar sal nie ’n enkele haar van jou seun op die grond val nie.” **12** Die vrou het toe gevra: “Mag u diensmeisie asseblief nog iets vir my heer die koning sê?” En hy het gesê: “Praat gerus!”

13 Die vrou het gesê: “Hoe-kom het u dan besluit om so iets aan die volk van God te doen?^c Wanneer die koning so praat, maak hy homself skuldig, want die koning bring nie sy eie seun terug wat hy verban het nie.^d

14 Ons sal vir seker sterf en soos waters wees wat op die grond uitgegooi word, wat ’n mens nie weer kan terugkry nie. Maar God sou nie ’n lewe* neem nie, en hy soek na redes om die een wat verban is, terug te bring. **15** Ek het vir my heer die koning dit kom sê omdat die mense my bang gemaak het. Daarom het u diensmeisie gesê: ‘Laat ek asseblief met die koning praat. Miskien sal die koning doen wat sy slavin vra. **16** Dalk sal die koning luister en sy slavin red uit die hand van die man wat my en my enigste seun wil afsny wat die erfdel wat God ons gegee het.’^e

17 Toe het u diensmeisie gesê: ‘Ek hoop dat die woorde van my heer die koning my gerus sal stel,’ want my heer die koning is

HFST. 14

a Nu 35:19, 27
De 19:6b De 6:13
Pr 8:4c Eks 19:5
Nu 6:27

d 2Sa 13:38

e 2Sa 14:2, 7

Tweede kol.

a 2Sa 14:1-3

b 2Sa 14:13

c 2Sa 13:38

d De 3:14
2Sa 3:3
2Sa 13:37

soos ’n engel van die ware God en kan onderskei tussen wat goed en wat sleg is. Mag Jehovah u God met u wees.”

18 Die koning het die vrou toe geantwoord: “Ek wil vir jou ’n vraag vra, en jy moet asseblief niks vir my wegsteek nie.” Die vrou het geantwoord: “Wat wil my heer die koning weet?”

19 Die koning het toe gevra: “Is dit Joab wat jou hiernatoe gestuur het?”^a Die vrou het geantwoord: “So waar as wat u lewe, o my heer die koning, dit is net soos u sê, want dit was u kneg Joab wat vir u diensmeisie gesê het om al hierdie dinge te kom sê. **20** U kneg Joab het dit gedoen om die saak in ’n ander lig te stel, maar my heer het wysheid soos dié van ’n engel van die ware God en u weet van alles wat in die land aangaan.”

21 Daarna het die koning vir Joab gesê: “Goed dan, ek sal dit doen.^b Gaan haal die jong man Absalom.”^c **22** Toe het Joab op sy knieë geval en met sy gesig na die grond toe neergebui en die koning geprys. Joab het gesê: “Vandag weet u kneg dat ek u goedkeuring het, o my heer die koning, omdat die koning gedoen het wat sy kneg gevra het.” **23** Joab het toe opgestaan en na Gesur^d gegaan en Absalom na Jerusalem gebring. **24** Maar die koning het gesê: “Hy kan na sy eie huis teruggaan, maar hy mag nie voor my verskyn nie.” Toe het Absalom na sy eie huis gegaan, en hy het nie voor die koning verskyn nie.

25 In die hele Israel was daar geen man wat so geprys is weens sy aantreklike voorkoms soos Absalom nie. Van die sool van sy voet tot die kroon van sy kop het hy geen gebrek gehad nie. **26** Aan die einde van elke jaar moes hy sy hare sny omdat

dit so swaar was. Wanneer hy sy hare gesny het, het dit 200 sikkels* geweeg volgens die koninklike weegsteen.^a **27** Absalom het drie seuns^a sowel as 'n dogter met die naam Tamar gehad. Sy was 'n baie mooi vrou.

28 En Absalom het twee jaar lank in Jerusalem gewoon, maar hy het nie voor die koning verskyn nie.^b **29** Daarom het Absalom Joab laat roep om hom na die koning toe te stuur, maar Joab wou nie na hom toe kom nie. Toe het hy hom weer laat roep, 'n tweede keer, en hy het nog steeds geweier om te kom. **30** Uiteindelik het hy vir sy knegte gesê: "Joab se stuk grond is langs myne, en hy het gars daarop. Gaan steek dit aan die brand." Toe het die knegte van Absalom die stuk grond aan die brand gesteeke. **31** Joab het opgestaan en na Absalom se huis toe gegaan en vir hom gevra: "Hoekom het jou knegte my stuk grond aan die brand gesteeke?" **32** Toe het Absalom vir Joab gesê: "Ek het mos vir jou 'n boodskap gestuur en gesê: 'Kom hiernatoe en laat ek jou na die koning toe stuur om te vra: 'Hoekom het ek van Gesur af gekom?'' Dit sou vir my beter gewees het as ek daar gebly het. Laat ek voor die koning verskyn, en as ek aan enige oortreding skuldig is, dan moet hy my doodmaak.'"^c

33 Toe het Joab na die koning toe gegaan en dit vir hom vertel. Die koning het Absalom geroep, en Absalom het na hom toe gegaan en voor die koning op sy knieë geval en neergebuig met sy gesig na die grond toe.

14:26 *Omtrent 2,3 kg. Sien Aanh. B14. ^aMoontlik 'n standaardgewig wat in die koninklike paleis gehou is of 'n "koninklike" sikkal wat anders was as die gewone sikkal.

HFST. 14
a 2Sa 18:18

b 2Sa 14:24

c 2Sa 14:23

Tweede kol.

a Ge 45:15

HFST. 15

b 1Sa 8:11
1Kn 1:5
Spr 11:2

c De 25:7
Rut 4:1

d 1Sa 8:20
2Sa 8:15

e Ps 10:9
Ps 55:21
Spr 26:25

f Spr 11:9

g 2Sa 3:2

h 2Sa 13:38
2Sa 14:23

i Le 22:21

Toe het die koning Absalom gesoen.^a

15 Ná al hierdie dinge het Absalom vir hom 'n wa en perde aangeskaf, sowel as 50 manne om voor hom uit te hardloop.^b **2** Absalom het elke oggend vroeg opgestaan en langs die pad gaan staan wat na die stadspoort lei.^c Wanneer iemand 'n regspraak gehad het waaroor die koning moes oordeel,^d het Absalom hom geroep en gevra: "Van watter stad is jy?" en dan sou die man vir hom sê aan watter stam van Israel hy behoort. **3** Absalom sou dan vir hom sê: "Kyk, jy het 'n sterk en regverdige saak, maar daar is niemand by die koning om jou saak aan te hoor nie." **4** Daarna sou Absalom sê: "As ek maar net as regter in die land aangesetel was! Dan sou elkeen wat 'n regspraak of klagte het, na my toe kon kom, en ek sou seker maak dat hy geregtigheid kry."

5 En wanneer iemand nader gekom het om voor hom neer te buig, het Absalom sy hand uitgesteek en hom gegryp en gesoen.^e **6** Absalom het dit gedoen met al die Israeliete wat na die koning toe gekom het met 'n regspraak waaroor hy moes oordeel. So het Absalom die harte van die manne van Israel bly steel.^f

7 Ná vier jaar* het Absalom vir die koning gesê: "Laat my asseblief na He'bron^g gaan om my gelofte te betaal wat ek aan Jehovah gemaak het. **8** Want toe u kneg in Gesur^h in Sirië gewoon het, het ek 'n gelofte gemaakⁱ en gesê: 'As Jehovah my na Jerusalem terugbring, sal ek 'n offer aan Jehovah bring.'"^a **9** Toe het die koning vir hom

15:7 *Of moontlik "40 jaar". **15:8** *Lett. "diens aan Jehovah verrig".

gesê: “Gaan in vrede.” Hy het toe opgestaan en na He’bron gegaan.

10 Daarna het Absalom spioene deur al die stamme van Israel gestuur om te sê: “Sodra julle die geluid van die horing hoor, moet julle uitroep: ‘Absalom het koning geword in He’bron!’”^a **11** En Absalom het 200 manne van Jerusalem genooi. Hulle het ewe onskuldig saamgegaan en het van niks geweet nie. **12** En toe Absalom die offerandes bring, het hy Agito’fel,^b die Giloniet, Dawid se raadgewer,^c uit sy stad, Gilo,^d laat roep. Die sameswering het al hoe groter geword, en al hoe meer mense het Absalom begin ondersteun.^e

13 Later het ’n boodskapper na Dawid toe gekom en gesê: “Die manne van Israel ondersteun nou vir Absalom.” **14** Dawid het dadelik vir al sy knegte wat by hom in Jerusalem was, gesê: “Staan op, en laat ons vlug,^f want nie een van ons sal van Absalom ontsnap nie! Maak gou, sodat hy ons nie inhaal en rampspoed oor ons bring en die inwoners van die stad met die swaard doodmaak nie!”^g **15** Die koning se knegte het vir hom gesê: “Ons sal doen wat my heer die koning ook al besluit om te doen.”^h **16** Toe het die koning en sy hele huisgesin vertrek, maar die koning het tien byvrouensⁱ agtergelaat om die paleis* op te pas. **17** En die koning en die mense wat hom uit die stad gevolg het, het by Bet-Merhak gestop.

18 Al die koning se knegte wat saam met hom gegaan het* en al die Keretiete, die Peletiete^j en al die Gittiete^k (600 man-

15:16 *Lett. “huis”. 15:18 *Of “wat langs hom verbygegaan het”.

HFST. 15

- a 2Sa 2:1
2Sa 5:1, 5
1Kr 3:4
b 2Sa 16:23
2Sa 17:14
2Sa 23:8, 34
c Ps 41:9
Ps 55:12, 13
Joh 13:18
d Jos 15:20, 51
e Ps 3:1
Spr 24:21
f 2Sa 19:9
Ps 3:Ops
g 2Sa 12:11
h Spr 18:24
i 2Sa 12:11
2Sa 16:21
2Sa 20:3
j 2Sa 8:18
2Sa 20:7
1Kn 1:38
1Kr 18:17
k Jos 13:2, 3

Tweede kol.

- a 1Sa 27:4
1Kr 18:1
b 2Sa 18:2
c 2Sa 2:5, 6
Ps 25:10
Ps 57:3
Ps 61:7
Ps 89:14
d Spr 17:17
Spr 18:24
e 2Sa 18:2
f 1Kn 2:36, 37
2Kr 30:14
Joh 18:1
g 2Sa 8:17
2Sa 20:25
1Kn 1:8
1Kn 2:35
1Kr 6:8
h Nu 8:19
i Eks 37:1
Le 16:2
j Nu 4:15
Nu 7:9
1Kr 15:2
k 1Sa 22:20
1Sa 30:7
l 2Sa 6:17
m 2Sa 7:2
Ps 26:8
Ps 27:4

ne wat hom vanaf die stad Gat^a gevolg het) het voor die koning verbygegaan terwyl hy hulle geïnspekteer het. **19** Toe het die koning vir Ittai,^b die Gittiet, gesê: “Hoekom wil jy saam met ons gaan? Gaan terug en bly by die nuwe koning, want jy is ’n uitlander en jy is uit jou plek verban. **20** Jy het nou net hier aangekom. Hoe kan ek jou dan vra om saam met ons te gaan as ek nie eers weet waarheen ek gaan nie? Gaan terug en neem jou manne saam met jou, en mag Jehovah lojale liefde en getrouheid aan jou betoon!”^c **21** Maar Ittai het die koning geantwoord: “So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat my heer die koning lewe, waar my heer die koning ook al gaan, sal u kneg gaan, selfs al beteken dit dat ek moet sterf!”^d **22** Toe het Dawid vir Ittai^e gesê: “Trek deur die vallei.” Toe het Ittai, die Gittiet, saam met al sy manne en kinders deur die vallei getrek.

23 Almal in die land het hard gehuil terwyl al hierdie mense deurgetrek het, en die koning het by die Kidron-vallei^f gestaan. Al die mense het na die pad gegaan wat na die wildernis lei. **24** Sadok,^g sowel as al die Leviete^h wat die arkⁱ van die verbond van die ware God^j gedra het, was daar. En hulle het die Ark van die ware God neergesit. En Abja’tar^k was ook daar terwyl die mense uit die stad gekom het en deur die vallei getrek het. **25** Maar die koning het vir Sadok gesê: “Neem die Ark van die ware God terug na die stad toe.^l As ek Jehovah se goedkeuring het, sal hy my terugbring, en hy sal my die Ark en die woonplek daarvan weer laat sien.”^m **26** Maar as hy sê dat ek nie sy goedkeuring het nie, laat hy dan met

my doen wat hy ook al wil.”
27 Die koning het vir Sadok die priester gesê: “Jy is mos ’n sien-er,^a nie waar nie? Gaan in vrede terug na die stad toe, en neem jou seun Ahimäas sowel as Jo’natan,^b die seun van Abja’tar, saam. **28** Ek sal by die driewwe naby die wildernis bly totdat ek ’n boodskap van julle kry.”^c **29** Toe het Sadok en Abja’tar die Ark van die ware God na Jerusalem teruggeneem, en hulle het daar gebly.

30 Dawid het gehuil terwyl hy teen die Olyfberg^d opgegaan het. Sy kop was bedek, en hy het kaalvoet geloop. Al die mense wat by hom was, het ook hulle koppe bedek en al huilende opgegaan. **31** Daar is toe vir Dawid gesê: “Agito’fel konkel^e ook saam met Absalom.”^f Toe het Dawid gesê: “O Jehovah,^g verander die raad van Agito’fel asseblief in dwaasheid!”^h

32 Toe Dawid bo-op die berg kom waar mense God altyd kom aanbid het,^{*} was Husai,ⁱ die Arkiet,^j daar om hom te ontmoet. Sy kleed was geskeur en daar was grond op sy kop. **33** Maar Dawid het vir hom gesê: “As jy saam met my gaan, sal jy vir my ’n las wees. **34** Dit sal beter wees as jy na die stad teruggaan en vir Absalom sê: ‘Ek is u kneg,^k o koning. In die verlede was ek ’n kneg van u pa, maar nou is ek u kneg’. Dan kan jy Agito’fel se plan* laat misluk.”^l **35** Die priesters Sadok en Abja’tar is mos daar by jou. Jy moet die priesters Sadok en Abja’tar alles vertel wat jy by die huis van die koning hoor.^m **36** En hulle twee seuns, Ahimäas,ⁿ die seun van Sadok, en

15:30 *Of “helling van die Olywe”.
15:32 *Of “altyd voor God neergebuig het”.
15:34 *Of “raad”.

HFST. 15

a 1Sa 9:9

b 2Sa 17:17

c 2Sa 15:36
 2Sa 17:16, 21

d Mt 21:1
 Mt 24:3
 Han 1:12

e Ps 41:9
 Ps 55:12, 13
 Joh 13:18

f Ps 3:Ops

g Ps 3:7

h 2Sa 16:23
 2Sa 17:14

i 2Sa 16:16

j Jos 16:1, 2

k 2Sa 16:18, 19

l 2Sa 17:7, 14

m 2Sa 17:15, 16

n 2Sa 18:19

Tweede kol.

a 2Sa 17:17
 1Kn 1:42

b 2Sa 16:16
 1Kr 27:33

HFST. 16

c 2Sa 15:30

d 2Sa 9:2, 9

e 2Sa 9:6

f 1Sa 25:18

g 2Sa 17:27-29

h 2Sa 9:3

i 2Sa 19:25-27

j 2Sa 9:9, 10

k Spr 26:22

l 2Sa 19:16
 1Kn 2:8, 44

m Eks 22:28
 Pr 10:20

Jo’natan,^a die seun van Abja’tar, is ook daar by hulle. Jy kan hulle stuur om vir my alles te vertel wat jy hoor.” **37** En Husai, Dawid se vriend,^{*b} het op dieselfde tyd as Absalom in Jerusalem aangekom.

16 Toe Dawid net oor die top van die berg^c was, het Siba,^d die dienaar van Mefiboset,^e hom ontmoet met ’n paar opgesaalde donkies. Daar was 200 brode, 100 rosynekoeke, 100 koeke van gedroogde somervrugte* en ’n groot kruik wyn op die donkies.^f **2** Toe het die koning vir Siba gevra: “Hoekom het jy hierdie dinge gebring?” Siba het geantwoord: “Die donkies is vir die huisgesin van die koning om op te ry, die brood en die somervrugte is vir die jong manne om te eet en die wyn is vir dié wat in die wildernis uitgeput raak.”^g **3** Die koning het toe gevra: “En waar is die seun* van jou meester?”^h

Toe het Siba vir die koning gesê: “Hy het in Jerusalem gebly, want hy het gesê: ‘Vandag sal Israel[#] die koninklike heerskappy van my pa aan my teruggee.’”ⁱ **4** Die koning het toe vir Siba gesê: “Kyk! Alles wat aan Mefiboset behoort, is joune.”^j Siba het geantwoord: “Ek buig voor u neer. Mag ek altyd u goedkeuring hê, my heer die koning.”^k

5 Toe koning Dawid Bahu’rim bereik het, het ’n man van die familie van die huis van Saul uitgekom. Sy naam was Si’mel’ en hy was die seun van Gera. Hy het hulle vervloek terwyl hy na hulle toe gestap het.^m **6** Hy het Dawid en al sy knegte sowel as al die mense en die sterk manne aan die koning se regterkant en

15:37 *Of “vertroueling”. **16:1** *Veral vye en miskien ook dadels. **16:3** *Of “kleinseun”. [#]Lett. “die huis van Israel”.

linkerkant met klippe gegooi. **7** Si'mei het hom vervloek en gesê: "Gaan weg, gaan weg, jou bloedsuldige man! Jou slegte man! **8** Jehovah straf jou vir al jou bloedskuld in verband met die huis van Saul. Jy het in sy plek as koning regeer, maar Jehovah gee die koningskap aan jou seun Absalom. Nou het rampspoed oor jou gekom, want jy is 'n bloedskuldige man!"^a

9 Toe het Abi'sai, die seun van Seru'ja,^b vir die koning gesê: "Hoekom moet hierdie dooie hond^c my heer die koning vervloek?^d Laat my asseblief sy kop gaan afkap."^e **10** Maar die koning het gesê: "Moenie in-meng nie, julle seuns van Seru'ja.^f Laat hom my vervloek,^g want Jehovah het vir hom gesê:^h 'Vervloek Dawid!' Hoe kan enigiemand dan vra: 'Hoekom doen jy dit?'" **11** Dawid het toe vir Abi'sai en al sy knegte gesê: "As my seun, my eie vlees en bloed, my lewe wil neem,ⁱ wat kan ek dan van 'n Benjaminiër^j verwag? Los hom, laat hom my vervloek, want Jehovah het vir hom gesê om dit te doen! **12** Miskien sal Jehovah sien hoe ek swaarkry^k en sal Jehovah my seëninge gee in plaas van die vervloeking wat ek vandag moes hoor."^l **13** Daarna het Dawid en sy manne verder op die pad geloop, terwyl Si'mei al langs hom aan die kant van die berg geloop het. Die hele tyd het hy Dawid vervloek^m en hom en sy manne met klippe en baie grond gegooi.

14 Uiteindelik het die koning en al die mense by hom uitgeput by hulle bestemming aangekom, en daar het hulle gerus.

15 Intussen het Absalom en al die manne van Israel in Jerusalem aangekom, en Agito'felⁿ was by hom. **16** Toe Husai,^o

HFST. 16

a 1Sa 24:6, 7

1Sa 26:9, 11

Ps 3:1, 2

Ps 7:1

Ps 71:10, 11

b 1Kr 2:15, 16

c 1Sa 24:14

d Eks 22:28

e 1Sa 26:8

f 2Sa 19:22

1Kn 2:5

g Ps 37:8

1Pe 2:23

h 2Sa 12:10

i 2Sa 12:11

2Sa 15:14

2Sa 17:12

j 2Sa 19:16

k Ge 29:32

Eks 3:7

Ps 25:18

l Ps 109:28

m 2Sa 16:5

n 2Sa 15:12, 31

o 2Sa 15:32, 37

1Kr 27:33

Tweede kol.

a Jos 16:1, 2

b 1Kn 1:25

c 2Sa 15:34

d Ps 37:12

e Le 18:8

Le 20:11

1Kn 2:22

f 2Sa 15:16

g 2Sa 11:2

h 2Sa 12:11, 12

i De 22:30

2Sa 20:3

j 2Sa 15:12

2Sa 17:14, 23

HFST. 17

k 2Sa 16:14

l Ps 37:12

Ps 41:9

Ps 55:12, 13

die Arkiet,^a Dawid se vriend,* by Absalom kom, het Husai vir Absalom gesê: "Lank lewe die koning!^b Lank lewe die koning!" **17** Toe het Absalom vir Husai gevra: "Is dit hoe jy lojale liefde aan jou vriend betoon? Hoekom het jy nie saam met jou vriend gegaan nie?" **18** Husai het toe vir Absalom gesê: "Nee, ek is aan die kant van die een wat deur Jehovah, hierdie volk en al die manne van Israel gekies is. By hom sal ek bly. **19** En buitendien, wie anders sou ek dien? Behoort ek nie my vriend se seun te dien nie? Net soos ek u pa gedien het, so sal ek u dien."^c

20 Absalom het toe vir Agito'fel gesê: "Gee my raad.^d Wat moet ons doen?" **21** Toe het Agito'fel vir Absalom gesê: "Slaap by u pa se byvrouens^e wat hy agtergelaat het om die paleis* op te pas.^f Dan sal die hele Israel hoor dat u u pa erg beledig het, en dit sal u ondersteuners versterk." **22** Hulle het toe vir Absalom 'n tent op die dak opgeslaan,^g en Absalom het voor die oë van die hele Israel^h seksuele omgang met sy pa se byvrouensⁱ gehad.

23 In daardie dae is Agito'fel se raad beskou as die woord van die ware God.* Dit is hoe Dawid sowel as Absalom Agito'fel se raad beskou het.

17 Agito'fel het toe vir Absalom gesê: "Laat my asseblief 12 000 manne kies en Dawid vannag nog agternasit. **2** Ek sal hom oorval terwyl hy moeg en swak* is,^k en hy sal paniekbevange wees. Almal wat by hom is, sal vlug, en dan sal ek net die koning doodmaak.^l

16:16 *Of "vertroueling". **16:21** *Lett. "huis". **16:23** *Of "asof 'n mens die woord van die ware God geraadpleeg het". **17:2** *Of "slap van hande".

3 Daarna sal ek al die mense na u toe terugbring. Of die mense terugkeer, sal afhang van wat met die man gebeur waarna u soek. Dan sal daar vrede vir al die mense wees.” **4** Die voorstel het vir Absalom en vir al die ouerманne van Israel goed geklink.

5 Maar Absalom het gesê: “Roep asseblief ook vir Husai,^a die Arkiet, en laat ons hoor wat hy te sê het.” **6** Husai het toe na Absalom gegaan. En Absalom het vir hom gesê: “Dit is die raad wat Agito’fel gegee het. Moet ons sy raad volg? Of het jy ’n ander voorstel.” **7** Husai het toe vir Absalom gesê: “Hierdie keer het Agito’fel nie goeie raad gegee nie!”^b

8 Husai het verder gesê: “U weet goed dat u pa en sy manne sterk is,^c en hulle is desperaat, soos ’n beer in die veld wat haar kleintjies verloor het.^d En wat meer is, u pa is ’n vegter,^e en hy sal nie by die mense oornag nie. **9** Hy krimp nou weg in een van die grotte* of op ’n ander plek.^f As hy eerste aanval, sal dié wat daarvan hoor, sê: ‘Die manne wat Absalom volg, is verslaan!’ **10** Sels die man wat so moedig soos ’n leeu is,^g sal bang word, want die hele Israel weet dat u pa ’n sterk man is^h en dat die manne by hom dapper is. **11** Dit is my raad: Laat die hele Israel by u bymekaarkom, van Dan tot Berse’ba,ⁱ so baie soos die sandkorrels wat by die see is.^j En u moet hulle in die geveg lei. **12** Ons sal hom vind en aanval, en ons sal op hom toesak net soos die dou op die grond val. En nie een van hulle sal oorleef nie, nie hy of enige van die manne by hom nie.

17:9 *Of “gate; klowe”. **17:10** *Lett. “wie se hart soos die hart van ’n leeu is”.

HFST. 17

a 2Sa 15:32
2Sa 16:16

b 2Sa 15:34

c 1Sa 16:18
2Sa 15:18
2Sa 23:8, 18
1Kr 11:26

d Spr 17:12

e 1Sa 17:50
1Sa 18:7
1Sa 19:8
2Sa 10:18

f 1Sa 22:1
1Sa 23:19

g Ge 49:9
2Sa 1:23
Jes 31:4

h 1Sa 18:5

i Rig 20:1

j 1Kn 4:20

Tweede kol.

a Spr 21:1

b 2Sa 15:31, 34
2Sa 16:23
Spr 19:21
Spr 21:30

c De 2:30
2Kr 25:20

d 2Sa 8:17
2Sa 15:35

e Ps 35:24, 25

f 1Kn 1:42

g 2Sa 15:27, 36
2Sa 18:19

h Jos 15:7, 12
Jos 18:16, 20
1Kn 1:9

i 2Sa 16:5
2Sa 19:16

13 As hy in ’n stad gaan wegkruip, sal die hele Israel toue na die stad toe bring en ons sal dit tot in die vallei sleep. Daar sal nie eers ’n klip oorbly nie.”

14 Toe het Absalom en al die manne van Israel gesê: “Die raad van Husai, die Arkiet, is beter^a as die raad van Agito’fel!” Want Jehovah het besluit* dat Agito’fel^b se goeie raad moet misluk, sodat Jehovah rampspoed oor Absalom kan bring.^c

15 Later het Husai vir die priesters Sadok en Abja’tar^d gesê: “Dit is die raad wat Agito’fel aan Absalom en die ouerманne van Israel gegee het, en dít is die raad wat ek gegee het. **16** Stuur gou ’n boodskap aan Dawid en gee vir hom hierdie waarskuwing: ‘Moenie vanaag by die driewwe* naby die wildernis bly nie. Trek dadelik deur die rivier, want anders sal die koning en al die mense by hom dalk doodgemaak^e word.’”^e

17 Jo’natan^f en Ahi’maäs^g het by En-Rogel^h gewag, want hulle kon dit nie waag om by die stad in te gaan nie, in geval iemand hulle sou sien. ’n Diensmeisie het toe vir hulle die boodskap gaan gee, en hulle het dit aan koning Dawid oorgedra. **18** Maar ’n jong man het hulle gesien en vir Absalom gaan vertel. Daarom het Jo’natan en Ahi’maäs gou van daar af na die huis van ’n man in Bahu’rimⁱ gegaan wat ’n put in sy binnehof gehad het. Hulle het daar-in afgeklim, **19** en die man se vrou het ’n doek oor die bokant van die put gegooi en gebreekte graan daaroor gestrooi. Niemand het daarvan geweet nie.

17:14 *Of “beveel”. **17:16** *Of moontlik “die woestynvlaktes”. ^eLett. “ingesluk”.

20 Die knegte van Absalom het by die vrou in haar huis aangekom en gevra: "Waar is Ahi'maäs en Jo'natan?" Die vrou het geantwoord: "Hulle het hier verbygekom en in die rigting van die rivier gegaan."^a Die manne het toe na hulle gesoek, maar hulle nie gekry nie. Hulle het dus na Jerusalem teruggekeer.

21 Nadat die manne weggegaan het, het hulle uit die put geklim en vir koning Dawid gaan sê: "Staan op en trek dadelik deur die rivier," en hulle het hom vertel watter raad Agito'fel gegee het.^b **22** Dawid en al die mense by hom het onmiddellik opgestaan en deur die Jordaanrivier getrek. Teen dagbreek het almal reeds deur die Jordaanrivier getrek.

23 Toe Agito'fel sien dat sy raad nie gevolg is nie, het hy 'n donkie opgesaal en na sy huis in sy tuisdorp gegaan.^c Nadat hy instruksies aan sy huisgesin gegee het,^d het hy homself opgehang.^e Hy het gesterf en is in die graf van sy voorvaders begrawe.

24 Dawid het intussen na Mahana'im^f gegaan, en Absalom het met al die manne van Israel deur die Jordaanrivier getrek. **25** Absalom het Ama'sa^g in die plek van Joab^h oor die leëmag aangestel. Ama'sa was die seun van Jitra, die Israëliet, wat seksuele omgang gehad het met Abi'gail,ⁱ die dogter van Nahas, die suster van Seru'ja, Joab se ma. **26** Israel en Absalom het in die land Gi'lead^j kamp opgeslaan.

27 Toe Dawid by Mahana'im kom, het Sobi, die seun van Nahas uit Rabba^k van die Ammoniete, Magir,^l die seun van Ammi'ël uit Lo-Debar, en Bar-

HFST. 17

a Eks 1:19
Jos 2:3-5
1Sa 19:12, 14
1Sa 21:2

b 2Sa 17:1, 2

c Jos 15:20, 51
2Sa 15:12

d 2Kn 20:1

e 1Sa 31:4
1Kn 16:18
Ps 5:10
Ps 55:23
Mt 27:3, 5
Han 1:18

f Ge 32:1, 2
Jos 13:24, 26

g 2Sa 19:13
2Sa 20:4, 10

h 2Sa 8:16

i 1Kr 2:16, 17

j Nu 32:1
De 3:15

k De 3:11
Jos 13:24, 25
2Sa 12:26, 29

l 2Sa 9:3-5

Tweede kol.

a 2Sa 19:31, 32
1Kn 2:7

b Spr 11:25

c 1Sa 25:18
2Sa 16:2

HFST. 18

d Spr 20:18

e 2Sa 8:16
2Sa 10:7

f 2Sa 23:18, 19

g 1Kr 2:15, 16

h 2Sa 15:19, 21

i 2Sa 21:17

j 2Sa 17:1-3
Klg 4:20

k 2Sa 18:12

sil'lai,^a die Gileadiet uit Ro'gelim, na hom toe gekom.

28 Hulle het beddens, komme, kleipotte, koring, gars, meel, ge-roosterde graan, boerbone, lensies, gebraaide graan, **29** heuning, botter, skape en kaas* gebring. Hulle het dit alles vir Dawid en die mense by hom gebring om te eet,^b want hulle het gesê: "Die mense is honger en moeg en dors in die wildernis."^c

18 Dawid het toe die manne getel wat by hom was en hoofde oor 1000 en hoofde oor 100 oor hulle aangestel.^d **2** En Dawid het 'n derde van die manne onder die bevel van Joab,^e 'n derde onder die bevel* van Joab se broer Abi'sai,^f die seun van Seru'ja,^g en 'n derde onder die bevel van Ittai,^h die Gittiet, uitgestuur. Toe het die koning vir die manne gesê: "Ek sal ook saam met julle gaan veg." **3** Maar hulle het gesê: "U moenie gaan veg nie,ⁱ want as ons vlug, sal dit nie vir hulle saak maak* nie. En al sterf die helfte van ons, sal dit nie vir hulle saak maak nie, want u is 10 000 van ons werd.^j Daarom sal dit beter wees as u vir ons hulp vanuit die stad stuur."

4 Die koning het vir hulle gesê: "Ek sal doen wat julle ook al dink die beste is." Die koning het toe langs die stads-poort gaan staan, en al die manne het in groepe van 100 en van 1000 uitgegaan. **5** Die koning het toe vir Joab en Abi'sai en Ittai hierdie bevel gegee: "Behandel die jong man Absalom goed ter wille van my."^k Al die manne het gehoor toe die koning die hoofde hierdie bevel in verband met Absalom gee.

17:29 *Lett. "dikmelkkaas van beeste".
18:2 *Lett. "hand". **18:3** *Lett. "hulle nie die hart op ons rig".

6 Die manne het na die veld uitgegaan om teen Israel te veg, en die geveg het in die woud van E'fraim plaasgevind.^a 7 Die manne van Israel^b is daar deur die knegte van Dawid verslaan.^c 'n Groot slagting het op daardie dag plaasgevind – 20 000 manne het gesterf. 8 Die geveg het deur die hele streek versprei. En op daardie dag het die woud meer mense doodgemaak as die swaard.

9 Die knegte van Dawid het Absalom uiteindelik teëgekrom. Absalom het op 'n muil gery, en die muil het onder die dik takke van 'n groot boom deurgegaan. Absalom se hare het in die groot boom vasgehaak, en hy het in die lug* bly hang terwyl die muil waarop hy gery het, verder gegaan het. 10 Toe het iemand dit gesien en vir Joab^d gesê: "Ek het Absalom in 'n groot boom sien hang." 11 Joab het vir die man wat dit vir hom vertel het, gesê: "As jy dit gesien het, hoekom het jy hom nie net daar doodgemaak nie? Dan sou ek jou met graagte tien silwerstukke en 'n lyfband gegee het." 12 Maar die man het vir Joab gesê: "Selfs al sou ek 1000 silwerstukke ontvang,* sou ek nie my hand vir die koning se seun lig nie. Want ons het gehoor hoe die koning vir u en Abi'sai en Ittai sê: 'Sorg dat niemand die jong man Absalom seermaak nie.'^e 13 As ek ongehoorsaam was en hom doodgemaak het,* sou die koning daarvan gehoor het, en u sou my nie beskerm het nie." 14 Joab het toe gesê: "Ek gaan nie meer tyd hier by jou mors nie!" Toe het

18:9 *Lett. "tussen die hemel en die aarde". 18:12 *Lett. "op my palms weeg". 18:13 *Of "As ek bedrieglik teen sy siel gehandel het".

HFST. 18

a 2Sa 17:26

b 2Sa 16:15

c Ps 3:7
Spr 24:21, 22

d 2Sa 8:16
2Sa 18:2

e 2Sa 18:5

Tweede kol.

a 2Sa 12:10
Spr 2:22
Spr 20:20
Spr 30:17

b Jos 7:24, 26
Jos 8:29
Jos 10:23, 27

c Ge 14:17

d 2Sa 14:27

e 2Sa 15:35, 36
2Sa 17:17

f Ps 9:4

g 2Sa 18:5

h Ge 10:6

hy drie pyle* geneem en dit deur Absalom se hart gesteeke terwyl hy nog lewend in die groot boom gehang het. 15 Toe het tien dienaars wat Joab se wapens gedra het, gekom en Absalom doodgemaak.^a 16 Joab het toe op die horing geblaas, en die manne wat Israel agternagesit het, het teruggekom. Dit is hoe Joab die manne teruggeroep het. 17 Hulle het Absalom geneem en hom in 'n diep gat in die woud gegooi en 'n baie groot hoop klippe op hom gepak.^b En die hele Israel het na hulle huise gevlug.

18 Toe Absalom nog gelewe het, het hy 'n pilaar vir homself in die Vallei van die Koning^c opgerig, want hy het gesê: "Ek het nie 'n seun om my naam te laat voortleef nie."^d Daarom het hy die pilaar na homself vernoem, en dit word tot vandag toe Absalom se Monument genoem.

19 Ahi'maäs,^e die seun van Sadok, het gesê: "Laat my asseblief hardloop en die nuus vir die koning gee, want Jehovah het hom geregtigheid gegee deur hom van sy vyande te red."^f 20 Maar Joab het vir hom gesê: "Jy sal nie vandag die nuus oordra nie. Jy kan op 'n ander dag die nuus oordra, maar nie vandag nie, want die koning se seun het gesterf."^g 21 Toe het Joab vir 'n Kussiet^h gesê: "Gaan sê vir die koning wat jy gesien het." Die Kussiet het toe voor Joab gebuig en begin hardloop. 22 Ahi'maäs, die seun van Sadok, het weer vir Joab gesê: "Wat ook al gebeur, laat my asseblief ook agter die Kussiet aan hardloop." Maar Joab het gesê: "My seun, hoekom wil jy gaan as jy geen nuus het om oor te dra nie?" 23 Hy

18:14 *Of moontlik "spiese". Lett. "stokke".

het weer gesê: “Dit maak nie saak nie. Laat my gaan.” Toe het Joab vir hom gesê: “Gaan!” En Ahi'maäs het met die pad van die Jordaandistrik gehardloop, en hy het die Kussiet uiteindelik verbygegaan.

24 Dawid het tussen die twee stadspoorte gesit,^a en die wag^b het opgegaan na die dak van die poort by die muur. Hy het uitgekyk en 'n man gesien wat alleen hardloop. **25** Toe het die wag uitgeroep en vir die koning gesê wat hy sien. Die koning het gesê: “As hy alleen is, bring hy nuus.” Terwyl hy al hoe nader gekom het, **26** het die wag nog 'n man sien hardloop. Die wag het toe na die poortwagter uitgeroep: “Kyk! Daar is nog 'n man wat alleen hardloop!” Die koning het gesê: “Daardie man bring ook nuus.” **27** Die wag het gesê: “Die eerste man hardloop soos Ahi'maäs,^c die seun van Sadok.” Toe het die koning gesê: “Hy is 'n goeie man, en hy bring goeie nuus.” **28** Ahi'maäs het toe na die koning uitgeroep: “Ek het goeie nuus!” En hy het voor die koning gebuig met sy gesig na die grond toe. Toe het hy gesê: “Mag Jehovah u God geloof word, wat die manne aan u oorgelewer het wat teen my heer die koning in opstand gekom het!”^{*d}

29 Maar die koning het gevra: “Gaan dit goed met die jong man Absalom?” Ahi'maäs het geantwoord: “Toe Joab vir my en die koning se kneg gestuur het, het ek gesien dat daar iets groots aan die gang is, maar ek weet nie waaroor dit gegaan het nie.”^e **30** Toe het die koning gesê: “Kom staan hier eenkant.” En Ahi'maäs het dit gedoen.

31 Toe het die Kussiet daar aangekom^f en gesê: “Dit is die

HFST. 18

a 2Sa 18:4

b 2Kn 9:17

c 2Sa 18:19

d 2Sa 22:47
Ps 144:1

e 2Sa 18:22

f 2Sa 18:21

Tweede kol.

a 2Sa 22:49
Ps 55:18
Ps 94:1
Ps 124:2, 3

b Ps 27:2

c 2Sa 12:10
2Sa 17:14
2Sa 19:1
Spr 19:13

HFST. 19

d 2Sa 18:5
2Sa 18:14

e 2Sa 17:24

f 2Sa 18:33

g 2Sa 3:2-5
2Sa 5:14-16

h 2Sa 13:1

i 2Sa 5:13
2Sa 15:16

nuus wat ek vir my heer die koning bring: Vandag het Jehovah geregtigheid aan u gegee deur u te red uit die hand van almal wat teen u in opstand gekom het.”^a **32** Maar die koning het vir die Kussiet gevra: “Gaan dit goed met die jong man Absalom?” Toe het die Kussiet gesê: “Mag al die vyande van my heer die koning en almal wat teen u in opstand gekom het en iets slegs aan u wou doen, soos die jong man word!”^b

33 Dit het die koning ontstel, en hy het na die dakvertrek bo die poort opgegaan en gehuil. Terwyl hy geloop het, het hy gesê: “My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! As ek maar in jou plek gesterf het, Absalom my seun, my seun!”^c

19 Daar is vir Joab gesê: “Die koning huil en treur oor Absalom.”^d **2** So het die blydschap oor die oorwinning* op daardie dag vir al die mense in hartseer verander omdat hulle gehoor het dat die koning oor sy seun treur. **3** Op daardie dag het die mense stillettjies na die stad^e teruggekeer soos mense wat skaam is omdat hulle in die geveg gevlug het. **4** Die koning het sy gesig bedek en met 'n harde stem bly uitroep: “My seun Absalom! Absalom my seun, my seun!”^f

5 Toe het Joab na die koning toe gegaan by sy huis en gesê: “Vandag het u al u knegte verneder wat u lewe en die lewens van u seuns,^g u dogters,^h u vrouens en u byvrouensⁱ gered het. **6** U is lief vir dié wat u haat en haat dié wat vir u lief is, want u het vandag duidelik getoon dat u hoofde en knegte niks vir u beteken nie. Ek is seker dat u tevrede sou gewees

18:28 *Lett. “hulle hand opgelig het”.

19:2 *Of “redding”.

het solank Absalom vandag gelewe het, al was die res van ons dood. **7** Staan nou op, gaan uit en stel u knegte gerus,* want ek sweer by Jehovah dat geen man vannag by u sal bly as u nie uitgaan nie. Dit sal vir u erger wees as al die slegte dinge wat van u jong dae af tot nou toe oor u gekom het.” **8** Toe het die koning opgestaan en in die stadspoort gaan sit, en daar is vir al die mense gesê: “Die koning sit nou in die poort.” En al die mense het na die koning toe gegaan.

Maar die res van die Israeliete* het na hulle huise toe gevlug.^a **9** Al die mense van al die stamme van Israel het onder mekaar gestry en gesê: “Die koning het ons van ons vyande gered,^b en hy het ons van die Filistyne gered, maar nou het hy uit die land gevlug weens Absalom.^c **10** En Absalom, wat ons oor ons gesalf het,^d het in die geveg gesterf.^e Hoekom doen julle dan niks om die koning terug te bring nie?”

11 Koning Dawid het hierdie boodskap aan die priesters Sadok^f en Abja'tar^g gestuur: “Sê vir die ouerманne van Juda:^h ‘Die koning het in sy huis die woorde van die hele Israel gehoor. Hoekom is julle die laastes om die koning na sy paleis terug te bring? **12** Julle is my broers, my eie vlees en bloed. Hoekom is julle die laastes om die koning terug te bring?’ **13** En julle moet vir Ama'saiⁱ sê: ‘Is jy nie my eie vlees en bloed nie? Mag God my swaar straf* as jy nie van nou af die hoof van my leërmag word in die plek van Joab nie.’”^j

19:7 *Lett. “spreek tot die hart van u knegte”. **19:8** *D.w.s. diegene wat Absalom ondersteun het. **19:13** *Lett. “so aan my doen en daarby voeg”.

HFST. 19

a 2Sa 18:17

b 1Sa 17:50

1Sa 18:7

1Sa 19:5

2Sa 5:25

2Sa 8:5

c 2Sa 15:14

d 2Sa 15:10, 12

e 2Sa 18:14

f 2Sa 8:17

2Sa 15:25

1Kn 1:8

g 1Sa 22:20

1Sa 30:7

2Sa 15:24

1Kr 15:11, 12

h 2Sa 2:4

i 2Sa 17:25

1Kr 2:16, 17

j 2Sa 8:16

2Sa 18:5, 14

Tweede kol.

a Jos 5:9

1Sa 11:14

b 2Sa 16:5

1Kn 2:8, 9

c 2Sa 9:2, 10

2Sa 16:1

d 2Sa 16:5

e 2Sa 23:18

f 2Sa 2:18

g Eks 22:28

2Sa 16:7

1Kn 21:13

14 Hy het die harte van al die manne van Juda gewen,* en hulle het vir die koning 'n boodskap gestuur en gesê: “Kom terug, u en al u knegte.”

15 En die koning het teruggegaan en by die Jordaanrivier gekom. Die mense van Juda het na Gilgal^a toe gegaan om die koning te ontmoet en om saam met hom oor die Jordaanrivier te gaan. **16** Toe het Si'mei,^b die seun van Gera, 'n Benjamiet uit Bahu'rim, haastig saam met die manne van Juda afgegaan om koning Dawid te ontmoet, **17** en daar was 1000 manne van Benjamin by hom. Siba,^c die dienaar van die huis van Saul, en sy 15 seuns en 20 knegte het haastig na die Jordaanrivier gegaan sodat hulle voor die koning daar kon aankom. **18** Hy* het deur die drif gegaan om die koning se huisgesin oor te help en om te doen wat die koning ook al wou hê. Toe die koning op die punt gestaan het om deur die Jordaanrivier te trek, het Si'mei, die seun van Gera, voor hom neergeval. **19** Hy het vir die koning gesê: “Vergewe my vir wat ek gedoen het, my heer, en moenie dink aan wat u kneg verkeerd gedoen het^d op die dag dat my heer die koning uit Jerusalem vertrek het nie. Die koning moet dit asseblief nie teen my hou nie, **20** want u kneg weet goed dat ek gesondig het. Daarom is ek vandag die eerste een van die hele huis van Josef wat gekom het om my heer die koning te ontmoet.”

21 Abi'sai,^e die seun van Seruja,^f het dadelik gesê: “Moet Si'mei nie doorgemaak word omdat hy die gesalfde van Jehovah vervloek het nie?”^g

19:14 *Lett. “gebuig”. **19:18** *Of moontlik “Hulle”.

22 Maar Dawid het gesê: “Wat het dit met julle te doen, seuns van Seru’ja?^a Hoekom wil julle my vandag teëstaan? Moet enigiemand vandag in Israel doodgemaak word? Het ek nie vandag weer koning oor Israel geword nie?” **23** Toe het die koning vir Si’mēi gesê: “Jy sal nie sterf nie.” En die koning het dit met ’n eed bevestig.^b

24 Mefibo’set,^c die kleinseun van Saul, het ook gekom om die koning te ontmoet. Hy het nie sy voete versorg of sy snor geknip of sy klere gewas van die dag af dat die koning weggegaan het tot die dag dat hy in vrede teruggekom het nie. **25** Toe hy by* Jerusalem kom om die koning te ontmoet, het die koning vir hom gevra: “Hoekom het jy nie saam met my gegaan nie, Mefibo’set?” **26** Toe het hy geantwoord: “My heer die koning, my kneg^d het my bedrieg. Want ek het gesê: ‘Ek sal vir my ’n donkie laat opsaal sodat ek daarop kan ry en saam met die koning kan gaan,’ want u kneg is gebrekklik.^e **27** Maar hy het my valslik beskuldig by my heer die koning.^f My heer die koning is egter soos ’n engel van die ware God. Doen dus met my wat u goedvind. **28** My heer die koning kon die hele huisgesin van my vader laat doodmaak het, en tog het u aan u kneg ’n plek gegee by dié wat aan u tafel eet.^g Watter reg het ek dan om nog iets van die koning te vra?”

29 Maar die koning het vir hom gesê: “Hoekom praat jy nog hieroor? Ek het besluit dat jy en Siba die grond moet deel.”^h **30** Mefibo’set het toe vir die koning gesê: “Hy kan maar alles kry, want my heer die koning het in vrede na sy huis toe gekom.”

19:25 *Of moontlik “van”.

HFST. 19

a 2Sa 3:39
2Sa 16:10

b 1Kn 2:8, 9

c 2Sa 9:3, 6
2Sa 16:3, 4

d 2Sa 9:9

e 2Sa 4:4

f Le 19:16
2Sa 16:3

g 2Sa 9:7-10

h 2Sa 16:4

Tweede kol.

a 2Sa 17:27-29
1Kn 2:7

b Spr 3:27

c Spr 11:25

d Ps 90:10

e Pr 2:8

f Ge 50:13

g 1Kn 2:7

h Ge 31:55
1Sa 20:41
Han 20:37

i 1Sa 11:14

31 Barsil’lai,^a die Gileadiet, het uit Ro’gelim gekom sodat hy saam met die koning na die Jordaanrivier kon gaan. **32** Barsil’lai was baie oud, 80 jaar oud. En hy het die koning in Mahana’im van kos voorsien terwyl die koning daar gebly het,^b want hy was ’n baie ryk man. **33** Toe het die koning vir Barsil’lai gesê: “Trek saam met my oor, en ek sal jou in Jerusalem van kos voorsien.”^c **34** Maar Barsil’lai het vir die koning gesê: “Hoeveel langer sal ek nog lewe dat ek saam met die koning na Jerusalem sou opgaan? **35** Ek is vandag 80 jaar oud.^d Kan ek onderskei tussen wat goed en wat sleg is? Kan ek, u kneg, proe wat ek eet en drink? Kan ek nog na die stem van sangers en sangeresse luister?”^e Hoekom moet u kneg dan ’n las vir my heer die koning word? **36** Dit is vir my genoeg dat u kneg die koning na die Jordaanrivier kon bring. Hoekom wil die koning my nog hierdie beloning gee? **37** Laat u kneg asseblief terugkeer, en laat my in my stad sterf naby die graf van my pa en my ma.^f Maar hier is u kneg Kimham.^g Laat hy saam met my heer die koning oortrek, en u kan met hom doen wat u goedvind.”

38 Toe het die koning gesê: “Kimham sal saam met my oortrek, en ek sal vir hom doen wat jy wil hê. Ek sal vir jou doen wat jy ook al vra.” **39** Al die mense het toe deur die Jordaanrivier begin trek, en voordat die koning deurgetrek het, het die koning Barsil’lai^h gesoen en hom geseën. Daarna het Barsil’lai huis toe gegaan. **40** Toe die koning na Gilgalⁱ oortrek, het Kimham saam met hom gegaan. Al die mense van Juda en die helfte van die mense van Israel

het saam met die koning oorgegaan.^a

41 Toe het al die manne van Israel na die koning toe gekom en vir hom gevra: "Hoekom het ons broers, die manne van Juda, u en u huisgesin en al die manne van Dawid^b in die geheim oor die Jordaanrivier gebring?" **42** Al die manne van Juda het die manne van Israel geantwoord: "Omdat die koning aan ons verwant is.^c Hoekom is julle kwaad hieroor? Het ons enigsins van die koning se kos geëet, of het ons 'n geskenk gekry?"

43 Maar die manne van Israel het die manne van Juda geantwoord en gesê: "Ons is tien stamme, en daarom het ons meer reg op Dawid as julle. Hoekom het julle ons beledig? Moes ons nie die eerstes gewees het om die koning terug te bring nie?" Maar die manne van Juda het die argument teen die manne van Israel gewen.*

20 Daar was 'n moeilikheidsmaker met die naam Seba,^d die seun van Bigri, 'n Benjaminit. Hy het op die horing geblaas^e en gesê: "Ons het geen reg op Dawid nie, en ons het geen erfdeel saam met die seun van Isai nie.^f Laat elkeen na sy gode* gaan, o Israell!"^g **2** Toe het al die manne van Israel opgehou om Dawid te volg en hulle het Seba, die seun van Bigri, gevolg,^h maar die manne van Juda het by hulle koning gebly en het hom van die Jordaanrivier af tot by Jerusalem gevolg.ⁱ

3 Toe Dawid by sy paleis in Jerusalem kom,^j het die koning

19:43 *Of "die woord van die manne van Juda was harder as dié van die manne van Israel". **20:1** *Of moontlik "tente".

HFST. 19

a 2Sa 2:4

b Rig 8:1
Rig 12:1
2Sa 19:15

c Ps 78:68, 70

HFST. 20

d 2Sa 20:21

e Rig 3:26, 27
2Sa 15:10

f 2Sa 19:43

g 1Kn 12:16

h Spr 24:21

i 2Sa 19:15
2Sa 19:41, 42

j 2Sa 5:11

Tweede kol.

a 2Sa 15:16

b 2Sa 16:21, 22

c 2Sa 17:25
2Sa 19:13
1Kr 2:17

d 1Sa 26:6
2Sa 10:10
2Sa 23:18
1Kr 18:12

e 2Sa 20:1

f 2Sa 15:12

g 2Sa 8:16

h 2Sa 8:18
2Sa 15:18
1Kn 1:38

i Jos 18:21, 25
Jos 21:8, 17

j 2Sa 17:25
2Sa 19:13

k 2Sa 3:27
1Kn 2:5

die tien byvrouens wat hy agtergelaat het om die paleis op te pas^a in 'n huis onder bewaking gesit. Hy het hulle van kos voorsien, maar hy het nie seksuele omgang met hulle gehad nie.^b Hulle was tot die dag van hulle dood in afsondering en het gelewe asof hulle weduwees is, hoewel hulle man gelewe het.

4 Die koning het toe vir Ama'sa^c gesê: "Roep die manne van Juda vir my binne drie dae bymekaar, en jy moet ook hier wees." **5** Toe het Ama'sa gegaan om Juda bymekaar te roep, maar hy het later gekom as wat die koning vir hom gesê het om te kom. **6** Dawid het toe vir Abi'sai^d gesê: "Seba,^e die seun van Bigri, sal vir ons meer moeilikheid maak as wat Absalom gedoen het.^f Neem die knegte van jou heer en sit hom agterna, sodat hy nie 'n versterkte stad bereik en van ons af wegkom nie." **7** Toe het die manne van Joab,^g die Keretiete, die Peletiete^h en al die sterk manne agter hom aan gegaan. Hulle het Jerusalem verlaat om Seba, die seun van Bigri, agterna te sit. **8** Toe hulle naby die groot klip in Gi'beonⁱ was, het Ama'sa^j hulle kom ontmoet. Joab het sy wapenrusting aangehad, en aan sy heup was daar 'n swaard in sy skede. Toe hy vorentoe stap, het hy sy swaard laat uitval.

9 Joab het vir Ama'sa gevra: "Gaan dit goed met jou, my broer?" Toe het Joab Ama'sa se baard met sy regterhand gegryp asof hy hom wou soen. **10** Ama'sa was nie op sy hoede vir die swaard wat in Joab se hand was nie, en Joab het hom in die maag gestee^k, en sy ingewande het op die grond uitgeval. Dit was nie vir hom nodig om hom weer te steek nie – een keer was genoeg om hom dood

te maak. Joab en sy broer Abi'sai het toe vir Seba, die seun van Bigri, agternagesit.

11 Een van Joab se jong manne het by hom gestaan en gesê: "Laat almal wat aan Joab se kant is en wat aan Dawid behoort, vir Joab volg!"

12 Ama'sa het die hele tyd in die middel van die pad in sy bloed lê en rol. Toe die man sien dat al die mense daar stilstaan, het hy Ama'sa van die pad na die veld geskuif. Hy het toe 'n kleed oor hom gegooi omdat hy gesien het dat almal stilstaan wanneer hulle by hom kom. **13** Nadat hy hom uit die pad geskuif het, het al die manne Joab gevolg en Seba,^a die seun van Bigri, agternagesit.

14 Seba het deur die gebied van al die stamme van Israel na die stad Abel van Bet-Ma'äga^b gegaan. Die Bigriete het bymekaargekom en hom gevolg en ook daar ingegaan.

15 Joab en sy manne het gekom en Seba in Abel van Bet-Ma'äga omsingel en 'n beleëringswal teen die stad opgerig, aangesien dit 'n versterkte muur* rondom gehad het. En al die manne wat by Joab was, was besig om die muur te ondergrawe sodat hulle dit kon afbreek. **16** 'n Wyse vrou het uit die stad geroep: "Luister, manne! Sê asseblief vir Joab dat hy hiernatoe moet kom sodat ek met hom kan praat." **17** Hy het nader gegaan en die vrou het gevra: "Is u Joab?" Hy het geantwoord: "Ja." Toe het sy vir hom gesê: "Luister na die woorde van u kneg." Hy het gesê: "Ek luister." **18** Sy het toe gesê: "In die verlede het hulle altyd gesê: 'Laat hulle in Abel raad vra,' en dit sal die einde van die saak wees. **19** Ek ver-

HFST. 20

a 2Sa 20:1

b 1Kn 15:20
2Kn 15:29

Tweede kol.

a Eks 19:5
De 32:9b Jos 17:14, 15
Rig 2:8, 9

c 2Sa 20:1

d Pr 9:14, 15
Pr 9:18e 2Sa 8:16
2Sa 19:13f 2Sa 23:20
1Kr 27:5

g 1Kr 12:27

h 2Sa 8:18
2Sa 15:18
1Kn 1:38, 44i 1Kn 4:6
1Kn 12:18

j 1Kn 4:3

k 2Sa 15:27

l 2Sa 17:15
2Sa 19:11
1Kn 4:4

HFST. 21

m Le 26:18, 20

teenwoordig die vredeliewendes en getroues van Israel. U wil nou 'n stad vernietig wat soos 'n moeder in Israel is. Hoekom wil u die erfdele van Jehovah^a uitroei?" **20** Joab het geantwoord: "Ek wil glad nie die stad uitroei of vernietig nie. **21** Dit is nie hoekom ek hier is nie. Maar 'n man uit die bergstreek van E'fraim^b met die naam Seba,^c die seun van Bigri, het teen koning Dawid in opstand gekom.* As jy hierdie een man aan my oorgee, sal ek van die stad af wegtrek." Toe het die vrou vir Joab gesê: "Goed! Sy kop sal oor die muur na u toe gegooi word!"

22 Die wyse vrou het dadelik na al die mense toe gegaan, en hulle het die kop van Seba, die seun van Bigri, afgekap en dit na Joab toe gegooi. Toe het hy op die horing geblaas, en hulle het van die stad af weggegaan, elkeen na sy huis toe.^d En Joab het na die koning in Jerusalem teruggekeer.

23 Joab was oor die hele leërmag van Israel.^e Bena'ja,^f die seun van Joja'da,^g was oor die Keretiete en oor die Peletiete.^h **24** Ado'ramⁱ was oor die mense wat opgeroep is om vir die koning te werk, en Jo'safat,^j die seun van Ahi'lud, was die geskiedskrywer. **25** Sewa was die sekretaris. Sadok^k en Abja'tar^l was priesters. **26** En Ira, die Jaïriet, het ook een van Dawid se hoofamptenare* geword.

21 In Dawid se tyd was daar drie jaar lank hongersnood.^m Dawid het Jehovah vir leiding gevra, en Jehovah het gesê: "Daar is bloedskuld op Saul en op sy huis omdat hy die

20:21 * Lett. "sy hand opgelig". 20:26 * Lett. "n priester van Dawid".

20:15 * Of "n skans".

Gibeoniete doodgemaak het.^a **2** Toe het die koning die Gibeoniete^b geroep en met hulle gepraat. (Terloops, die Gibeoniete was nie Israeliete nie. Hulle was 'n oorblyfsel van die Amoriete,^c en die Israeliete het gesweer dat hulle hulle nie sou doodmaak nie.^d Maar Saul het hulle probeer uitroei weens sy ywer vir die mense van Israel en Juda.) **3** Dawid het vir die Gibeoniete gevra: "Wat moet ek vir julle doen, en hoe kan ek versoening doen sodat julle die erfdeel van Jehovah sal seën?" **4** Die Gibeoniete het vir hom gesê: "Silwer en goud kan nie vergoed^e vir wat Saul en sy huis aan ons gedoen het nie, en ons het nie die reg om enigiemand in Israel dood te maak nie." Toe het hy gesê: "Ek sal doen wat julle ook al sê." **5** Hulle het vir die koning gesê: "Die man wat ons wou uitroei en wat planne beraam het sodat nie een van ons in die gebied van Israel moet oorbly nie^f - **6** laat sewe van sy seuns aan ons gegee word. Ons sal hulle dooie liggame^{*g} voor Jehovah ophang^g in Gibeon^h van Saul, die uitverkorene van Jehovah."ⁱ Toe het die koning gesê: "Ek sal hulle vir julle gee."

7 Maar die koning het genade betoon aan Mefibo'set,^j die seun van Jo'natan, die seun van Saul, as gevolg van die eed wat Dawid en Jo'natan,^k die seun van Saul, voor Jehovah afgeleë het. **8** Daarom het die koning die twee seuns geneem wat Rispa,^l die dogter van Aja, by Saul gehad het, naamlik Armo'ni en Mefibo'set, sowel as die vyf seuns wat Migal,^{*m} die dog-

21:6 *Lett. "Ons sal hulle". ^aLett. "ontbloom", d.w.s. ontbloom met gebreekte arms en bene. **21:8** *Of moontlik "Merab".

HFST. 21

a Ge 9:6
Eks 20:13
Nu 35:30, 33

b Jos 9:3, 27

c Ge 10:15, 16

d Jos 9:15

e Nu 35:31

f 2Sa 21:1

g Nu 25:4
De 21:22

h 1Sa 10:26

i 1Sa 9:17

j 2Sa 4:4
2Sa 9:10
2Sa 19:24

k 1Sa 18:3
1Sa 20:42

l 2Sa 3:7

m 1Sa 18:20
1Sa 25:44
2Sa 3:14
2Sa 6:23

Tweede kol.

a 1Sa 18:19

b Nu 35:31
De 19:21

c 2Sa 3:7

d 2Sa 2:5

e 1Sa 28:4
1Sa 31:1
1Sa 31:11, 12
2Sa 1:6
1Kr 10:8

f 2Sa 21:9

g 1Sa 9:1
1Sa 10:11

h Jos 18:28

i Jos 7:24-26
2Sa 24:25

j 2Sa 5:17, 22

ter van Saul, by A'driël,^a die seun van Barsil'lai, die Mehola-tiet, gehad het. **9** Toe het hy hulle aan die Gibeoniete oorgelewer, wat hulle dooie liggame op die berg voor Jehovah opgehang het.^b Al sewe het saam gesterf. Hulle is in die eerste dae van die oes, aan die begin van die gars-oes, doodgemaak. **10** Rispa,^c die dogter van Aja, het toe saklinne geneem en dit op die rots uitgesprei van die begin van die oes af totdat daar reën op hulle liggame geval het. Sy het nie toegelaat dat die voëls van die hemel in die dag op hulle gaan sit nie en ook nie dat die wilde diere van die veld in die nag naby hulle kom nie.

11 Dawid het gehoor wat Saul se byvrou Rispa, die dogter van Aja, gedoen het. **12** Toe het Dawid al die beendere van Saul en van sy seun Jo'natan gaan haal by die leiers^{*} van Ja'bes-Gi'lead,^d wat dit op die openbare plein van Bet-San gaan steel het, waar die Filistyne hulle opgehang het op die dag toe die Filistyne Saul op Gilbo'a doodgemaak het.^e **13** Hy het die beendere van Saul en van sy seun Jo'natan van daar af gebring, en hulle het ook die beendere bymekaargemaak van die manne wat doodgemaak^{* is}.^f **14** Toe het hulle die beendere van Saul en van sy seun Jo'natan in die graf van Kis,^g Saul se pa, in Sela^h in die land van Benjamin begrawe. Nadat hulle alles gedoen het wat die koning beveel het, het God na hulle smeking vir die land geluister.ⁱ

15 Daar was weer eens oorlog tussen die Filistyne en Israel.^j Toe het Dawid en sy knegte teen die Filistyne gaan veg, maar Dawid het baie moeg

21:12 *Of moontlik "grondeienaars". **21:13** *Lett. "ontbloom".

geword. **16** 'n Nakomeling van die Refaïete^a met die naam Jisbi-Benob was van plan om Dawid dood te maak. Hy het 'n koperspies gehad wat 300 sik-kels* geweeg het,^b en hy was gewapen met 'n nuwe swaard. **17** Abi'sai,^c die seun van Seru'ja, het dadelik tot sy redding gekom^d en die Filistyn doodgemaak. Toe het die manne van Dawid by hom aangedring:* "U moenie meer saam met ons gaan veg nie!^e Die lamp van Israel mag nie uitgedoof word nie!"^f

18 Daarna het daar weer oorlog teen die Filistyne uitgebreek^g in Gob. Toe is Saf, 'n nakomeling van die Refaïete,^h deur Sib'begai,ⁱ die Husatiet, doodgemaak.

19 En daar het weer oorlog teen die Filistyne uitgebreek^j in Gob, en Elha'nan, die seun van Ja'are-O'regim, die Betlehemiet, het Go'liat, die Gittiet, doodgemaak. Die steel van Go'liat se spies was so groot soos die balk van 'n weefraam.^k

20 Oorlog het weer uitgebreek in Gat, waar daar 'n man was wat buitengewoon groot was, met 6 vingers aan elke hand en 6 tone aan elke voet, altesaam 24. Hy was ook 'n nakomeling van die Refaïete.^l

21 Hy het Israel bly uitgart,^m en Jo'natan, die seun van Dawid se broer Si'mei,ⁿ het hom doodgemaak.

22 Hierdie vier manne was nakomelinge van die Refaïete in Gat, en hulle is deur Dawid en sy knegte doodgemaak.^o

22 En Dawid het die woorde van hierdie lied vir Jehovah gesing^p op die dag toe Jehovah hom gered het uit die hand

21:16 *Omtrent 3,42 kg. Sien Aanb. B14. 21:17 *Lett. "gesweer".

HFST. 21

- a De 2:11
b 1Sa 17:4, 7
1Kr 11:23
c 2Sa 23:18, 19
d 2Sa 22:19
e 2Sa 18:3
f 1Kn 11:36
1Kn 15:4
2Kn 8:19
g 1Kr 20:4
h Ge 14:5
i 1Kr 11:26, 29
1Kr 27:1, 11
j 1Kr 20:5
k 1Sa 17:4, 7
l 1Kr 20:6-8
m 1Sa 17:10, 45
2Kn 19:22
n 1Sa 16:9
1Sa 17:13
1Kr 2:13
o Ps 60:12

HFST. 22

- p Eks 15:1
Rig 5:1

Tweede kol.

- a Ps 34:19
b 1Sa 23:14
Ps 18:Ops
c Ps 31:3
d Ps 18:2, 3
e De 32:4
1Sa 2:1, 2
f Ge 15:1
De 33:29
Ps 3:3
g Ps 9:9
Spr 18:10
h Ps 59:16
i Jes 12:2
Lu 1:46, 47
Tit 3:4
j Ps 69:14
k Ps 18:4
l Ps 116:3, 4
m Ps 18:5
n Ps 142:1
Jon 2:2
o Eks 3:7
Ps 18:6
Ps 34:15
p Rig 5:4
q Job 26:11
r Ps 18:7-12
Ps 77:18
s Jes 30:27

van al sy vyande^a en uit Saul se hand.^b **2** Hy het gesê:

"Jehovah is my groot rots en my vesting^c en die Een wat my red.^d

3 My God is my rots,^e by wie ek beskerming soek, my skild^f en my horing* van redding,^g my veilige skuilplek^{△g}

en die plek waarheen ek kan vlug,^h my redder.ⁱ U red my van geweld.

4 Ek roep Jehovah aan, wat verdien om geloof te word, en ek sal van my vyande gered word.

5 Die branders van die dood het om my gebreek.^j Stortvloede van nikswerd mense het my baie bang gemaak.^k

6 Die toue van die Graf* was om my.^l

Ek het voor die strikke van die dood te staan gekom.^m

7 In my angstigheid het ek tot Jehovah geroep.ⁿ

Ek het tot my God bly roep. Toe het hy vanuit sy tempel my stem gehoor, en my geroep om hulp het sy ore bereik.^o

8 Die aarde het begin skud en bewe,^p

en die fundamente van die hemel het gebewe^q en heen en weer geskud omdat hy woedend gemaak is.^r

9 Rook het uit sy neusgate gekom,

en 'n verterende vuur het by sy mond uitgekome.^s

Gloeierende kole het uit hom voortgekom.

22:3 *Sien Woordelys. [△]Of "my magtige redder". [△]Of "veilige hoogte".
22:6 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

- 10 Hy het die hemel laat buig terwyl hy neergedaal het,^a en daar was digte, donker wolke onder sy voete.^b
- 11 Hy het op 'n gerub^c gery en aangevlieg gekom. Hy was sigbaar op die vlerke van 'n gees.^{*d}
- 12 Toe het hy donkerte rondom hom sy skuiling gemaak,^e donker waters en digte wolke.
- 13 Uit die helderheid voor hom het brandende kole opgevlam.
- 14 Toe het Jehovah se stem soos donderslae vanuit die hemel gedreun.^f Die Allerhoogste het sy stem laat hoor.^g
- 15 Hy het sy pyle^h geskiet en my vyande verstrooi, weerligstrale om hulle te verwar.ⁱ
- 16 Die seabodem het sigbaar geword.^j Die fundamente van die land is deur die straf van Jehovah blootgelê, deur die geblaas van die asem van sy neusgate.^k
- 17 Hy het sy hand vanuit die hoogte uitgestrek. Hy het my gegryp en my uit diep waters getrek.^l
- 18 Hy het my van my sterk vyand gered,^m van dié wat my haat, wat sterker was as ek.
- 19 Hulle het my teëgestaan op die dag van my rampspoed,ⁿ maar Jehovah het my ondersteun.
- 20 Hy het my na 'n veilige plek* uitgebring.^o

22:11 *Of "die wind". 22:20 *Of "ruim plek".

HFST. 22

- a Ps 144:5
Jes 64:1
b De 4:11
1Kn 8:12
Ps 18:9
Ps 97:2
c 1Sa 4:4
Ps 80:1
Ps 99:1
d Heb 1:7
e Job 36:29
f Eks 19:16
1Sa 2:10
g Ps 18:13-16
Jes 30:30
h Ps 7:13
Ps 77:17
i Ps 144:6
j Eks 14:21
Ps 106:9
Ps 114:3
k Eks 15:8
l Ps 18:16-19
Ps 124:2-4
Ps 144:7
m Ps 3:7
Ps 56:9
n 1Sa 19:11
1Sa 23:26
2Sa 15:10
o Ps 31:8

Tweede kol.

- a Ps 149:4
b 1Sa 26:23
1Kn 8:32
c Ps 18:20-24
Ps 24:3, 4
d De 6:1
Ps 19:9
e De 8:11
f Ps 84:11
g Ps 18:23
Spr 14:16
h Job 34:11
Jes 3:10
Heb 11:6
i Ps 18:24
Spr 5:21
j Ps 37:28
Ps 97:10
k Ps 18:25-30
l Mt 5:8
1Pe 1:16
m Ps 125:5
n Job 34:28
o Da 4:37
1Pe 5:5
p Ps 27:1
q Ps 97:11
r Ps 18:29
Flp 4:13
Heb 11:33, 34
s De 32:4
t Ps 12:6
Spr 30:5

- Hy het my gered omdat ek sy goedkeuring geniet.^a
- 21 Jehovah beloon my volgens my regverdigheid.^b Hy vergoed my volgens die onskuld* van my hande.^c
- 22 Want ek het die weë van Jehovah gevolg, en ek het nie goddeloos opgetree deur my God te verlaat nie.
- 23 Al sy oordele^d is voor my. Ek sal nie afwyk van sy wetsbepalings^e nie.
- 24 Ek sal 'n rein lewe voor hom lei,^f en ek sal oortreding vermy.^g
- 25 Mag Jehovah my beloon volgens my regverdigheid,^h volgens my onskuld voor hom.ⁱ
- 26 Aan iemand wat lojaal is, is u lojaal.^j Aan iemand wat getrou* is, is u getrou.^{*k}
- 27 Vir die een wat rein is, toon u dat u rein is,^l maar deur die een wat bedrieglik is, word u nie bedrieg nie.^{*m}
- 28 En u red die nederiges,ⁿ maar u oë is teen die hoogmoediges, en u verneder hulle.^o
- 29 O Jehovah, u is my lamp.^p Dit is Jehovah wat my duisternis lig maak.^q
- 30 Met u hulp kan ek 'n rowerbende bestorm, en deur God se krag kan ek teen 'n muur opklim.^r
- 31 Die weg van die ware God is volmaak,^s en die woord van Jehovah is suiwer.^t

22:21 *Lett. "die reinheid". 22:26 *Of "onberispelik". 22:27 *Of moontlik "teenoor die een wat bedrieglik is, sal u optree asof u dwaas is".

- Hy is 'n skild vir almal wat beskerming by hom kom soek.^a
- 32** Want wie is God buiten Jehovah?^b
En wie is 'n rots behalwe ons God?^c
- 33** Die ware God is my sterk vesting,^d
en hy sal sorg dat my weg volmaak is.^e
- 34** Hy maak my voete soos dié van 'n takbok.
Hy laat my op hoë plekke staan.^f
- 35** Hy leer my hande om oorlog te voer,
en my arms kan 'n boog van koper span.
- 36** U gee my u skild van redding,
en u nederigheid maak my groot.^g
- 37** U maak die pad vir my voetstappe breër,
en my voete* sal nie gly nie.^h
- 38** Ek sal my vyande agternasit en hulle doodmaak.
Ek sal nie terugkeer totdat hulle vernietig is nie.
- 39** En ek sal hulle vernietig en verpletter sodat hulle nie sal opstaan nie,ⁱ
en hulle sal onder my voete val.
- 40** U sal my krag gee vir die geveg,^j
en u sal my vyande onder my laat inmeekaarsak.^k
- 41** U sal my vyande van my af laat terugtrek.^{*l}
Ek sal 'n einde maak aan dié wat my haat.^{#m}
- 42** Hulle roep om hulp, maar daar is niemand om hulle te red nie.

22:37 *Of "enkels". 22:41 *Of "U sal my die rug van my vyande gee". #Of "Ek sal dié wat my haat, stilmaak".

HFST. 22

- a Ps 35:2
Ps 91:4
- b Jes 44:6
- c De 32:31
Ps 18:31-42
- d Ps 27:1
Jes 12:2
- e Jes 26:7
- f Jes 33:15,16
Hab 3:19
- g Ps 18:35
Ps 113:6-8
- h Ps 17:5
- i Eks 14:13
- j 1Sa 23:5
- k 1Sa 17:49
Ps 44:3,5
- l Ge 49:8
- m Ps 18:40

Tweede kol.

- a 1Sa 28:6
Spr 1:28
Jes 1:15
Mi 3:4
- b 1Sa 30:6
2Sa 15:12
- c 2Sa 8:3
Ps 2:8
Ps 60:8
- d Ps 18:43-45
- e De 33:29
- f De 32:4
- g Ps 18:46
Ps 89:26
- h 1Sa 25:29
2Sa 18:19
- i Ps 18:47
Ps 110:1
Ps 144:1,2
- j 2Sa 5:12
2Sa 7:9
- k Ps 18:48
- l De 32:43
Ps 117:1
- m 1Kr 16:9
Ps 145:2
Ro 15:9
- n Ps 2:6
Ps 21:1

- Hulle roep selfs tot Jehovah, maar hy antwoord hulle nie.^a
- 43** Ek sal hulle so fyn stamp soos die stof van die aarde.
Ek sal hulle verpletter en vertrap soos modder in die strate.
- 44** U sal my red van die foutvindingery van my volk.^b
U sal my bewaar om die hoof van nasies te wees.^c
'n Volk wat ek nie geken het nie, sal my dien.^d
- 45** Uitlanders sal voor my kruip.^e
Hulle sal aan my gehoorzaam wees weens wat hulle van my hoor.*
- 46** Uitlanders sal moed verloor,^{*}
en hulle sal bewend uit hulle vestings kom.
- 47** Jehovah lewe! Mag my Rots' geloof word!
Laat God, die rots van my redding, verheerlik word.^g
- 48** Die ware God neem wraak vir my,^h
Hy onderwerp die volke onder my.ⁱ
- 49** Hy red my van my vyande.
U lig my hoog^j bo dié wat my aanval,
en u red my van die man van geweld.^k
- 50** Daarom sal ek u dank onder die nasies,^l o Jehovah,
en ek sal liedere sing* om u naam te loof.^m
- 51** Hy verrig groot reddingsdade* vir sy koning.ⁿ
Hy betoon lojale liefde aan sy gesalfde,

22:45 *Lett. "Wanneer die oor hoor, sal hulle my gehoorsaam". 22:46 *Of "wegkwyn". 22:50 *Of "musiek maak". 22:51 *Of "groot oorwinnings".

aan Dawid en sy nageslag,*
vir ewig.”^a

23 Dit is die laaste woorde van Dawid:^b

“Die woord van Dawid,
die seun van Isai,^c
en die woord van die man
wat grootliks geëer is,^d
die gesalfde^e van die God
van Jakob,
die lieflike sanger van die
liedere^f van Israel.

2 Die gees van Jehovah het
deur my gepraat;^g
sy woord was op my tong.^h

3 Die God van Israel het
gepraat,
die Rots van Israelⁱ het
vir my gesê:
‘Wanneer die een wat oor
mense regeer, regverdig
is^j en

in die vrees van God^k regeer,
4 is dit soos die oggendlig
wanneer die son skyn,^l
’n oggend sonder wolke.
Dit is soos die helderheid
ná die reën
wat gras uit die aarde laat
uitspruit.’^m

5 Is my huis nie so voor
God nie?

Want hy het ’n ewige ver-
bond met my gemaak.ⁿ
Hy het al die besonderhede
daarvan uitgewerk en
dit bevestig.
Dit beteken my redding en
my vreugde.

Is dit nie hoekom hy my huis
laat floreer nie?^o

6 Maar nikswerd mense
word weggegooi^p soos
doringbosse
wat nie met die hand uitge-
ruk kan word nie.

7 Wanneer ’n man aan
hulle raak,

HFST. 22

a Ps 89:20, 29
Lu 1:32, 33

HFST. 23

b Ge 49:1
De 33:1

c 1Sa 17:58

Mt 1:6

d 2Sa 7:8

e 1Sa 16:13

f 1Kr 16:9

g Mr 12:36

2Ti 3:16

h Han 1:16

2Pe 1:21

i De 32:4

Ps 144:1

j Spr 29:2

Jes 9:7

Jes 32:1

k Eks 18:21

Jes 11:3

l Mal 4:2

Mt 17:2

Op 1:16

m Ps 72:1, 6

n 2Sa 7:16, 19

1Kr 17:11

Ps 89:3

Ps 89:28, 29

Ps 132:11

o Jes 9:7

Jes 11:1

Am 9:11

p Ps 37:10

Tweede kol.

a 2Sa 10:7

2Sa 20:7

1Kr 11:10

b 1Kr 11:11

c 1Kr 11:12-14

d 1Kr 27:1, 4

e Rig 8:4

f Rig 15:14, 16

1Sa 14:6

1Sa 19:5

g Ps 3:8

Ps 44:3

h Jos 15:20, 35

1Sa 22:1

i Jos 15:1, 8

2Sa 5:22

1Kr 11:15-19

j 1Sa 22:1, 4

1Kr 12:16

moet hy ten volle gewapen
wees met yster en die
steel van ’n spies,
en hulle moet net daar heel-
temal met vuur verbrand
word.”

8 Dit is die name van Dawid
se magtige vegters:^a Jo’seb-Bas-
se’bet, ’n Tagkemoniet, die hoof
van die drie.^b Hy het eenkeer
800 manne met sy spies dood-
gemaak. 9 Die tweede van die
drie magtige vegters wat by Da-
wid was toe hulle die Filistyne
uitgetart het, was Elea’sar,^c
die seun van Dodo,^d die seun
van Aho’hi. Hulle het daar by-
mekaargekom vir die geveg, en
toe die manne van Israel gevlug
het, 10 het hy bly veg en aan-
gehou om die Filistyne dood te
maak totdat sy arm moeg was
en sy hand styf geword het om-
dat hy sy swaard heelyd vasge-
hou het.^e Jehovah het op daar-
die dag ’n groot oorwinning*
aan Israel gegee,^f en daarna het
die manne teruggegaan om die
lyke agter Elea’sar te stroop.

11 Die derde was Samma, die
seun van Agee, die Harariet. Die
Filistyne het by Legi bymekaar-
gekom, waar daar ’n stuk grond
vol lensies was, en toe die man-
ne vir die Filistyne gevlug het,
12 het hy in die middel van die
stuk grond bly staan en dit ver-
dedig en aangehou om die Fili-
styne dood te maak, en so het
Jehovah vir Israel ’n groot oor-
winning* gegee.^g

13 Drie van die 30 hoofman-
ne het gedurende die oes-
tyd na Dawid toe gegaan by
die grot van Adul’lam.^h En die
kamp van ’n afdeling* van die
Filistyne was in die Refa’im-
vallei.ⁱ 14 Dawid was toe in die
skuilplek,^j en ’n voorpos van

23:10, 12 *Of “redding”. 23:13 *Of
“tentdorp”.

die Filistyne was in Betlehem. **15** Dawid het toe gesê: "As ek maar net van die water kon drink uit die reënput by die poort van Betlehem!" **16** Die drie magtige vegters het toe die kamp van die Filistyne binnegedring en water geskep uit die reënput by die poort van Betlehem en dit na Dawid toe geneem. Maar hy het geweier om dit te drink en het dit voor Jehovah uitgegooi.^a **17** Hy het gesê: "O Jehovah, ek sal nooit eers daaraan dink om dit te doen nie! Moet ek die bloed^b drink van die manne wat hulle lewens gewaag het om dit te gaan haal?" Daarom het hy geweier om dit te drink. Dit is die dinge wat sy drie magtige vegters gedoen het.

18 Abi'sai,^c die broer van Joab, die seun van Seru'ja,^d was die hoof van drie ander. Hy het 300 manne met sy spies doodgemaak, en hy het net so 'n goeie reputasie gehad as die eerste drie.^e **19** Hoewel hy die mees gerespekteerde van die drie was en hulle hoof was, het hy nie die status van die eerste drie gehad nie.

20 Bena'ja,^f die seun van Joja'da, was 'n dapper man* wat baie magtige daade in Kab'seël^g gedoen het. Hy het die twee seuns van A'riël, die Mobiet, doodgemaak, en op 'n dag toe dit gesneeu het, het hy in 'n waterput afgeklim en 'n leeu doodgemaak.^h **21** Hy het ook 'n Egiptenaar doodgemaak wat buitengewoon groot was. Hoewel die Egiptenaar 'n spies in sy hand gehad het, het hy met 'n stok teen hom gaan veg en die spies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie spies doodgemaak. **22** Dit is wat Be-

23:20 *Lett. "die seun van 'n dapper man".

HFST. 23

a Le 9:9
Le 17:13b Ge 9:4
Le 17:10c 1Sa 26:6
2Sa 21:17d 2Sa 2:18
1Kr 2:15, 16

e 1Kr 11:20, 21

f 2Sa 8:18
2Sa 20:23
1Kn 1:8
1Kn 2:29
1Kr 27:5, 6

g Jos 15:21

h 1Kr 11:22-25
Spr 30:30

Tweede kol.

a 2Sa 2:18, 23
1Kr 2:15, 16
1Kr 27:1, 7

b 1Kr 11:26-41

c 1Kr 27:1, 10

d 1Kr 27:1, 9

e 1Kr 27:1, 12

f Jos 21:8, 18
Jer 1:1

g 1Kr 27:1, 13

h 1Kr 27:1, 14

i Rig 2:8, 9

j 2Sa 15:31
2Sa 16:23
2Sa 17:23
1Kr 27:33

k 1Kr 2:53

l 2Sa 11:3
1Kn 15:5

HFST. 24

m 2Sa 21:1

na'ja, die seun van Joja'da, gedoen het, en hy het net so 'n goeie reputasie as die drie magtige vegters gehad. **23** Hoewel hy meer gerespekteerd was as die dertig, het hy nie die status van die eerste drie gehad nie. Maar Dawid het hom oor sy lyfwag aangestel.

24 A'sahel,^a die broer van Joab, was onder die dertig: Elha'nan, die seun van Dodo uit Betlehem;^b **25** Samma, die Harodiet; Eli'ka, die Harodiet; **26** Heles,^c die Paltiet; Ira,^d die seun van Ikkes, die Tekoët; **27** Abiëser,^e die Anatotiet;^f Mebunnai', die Husatiet; **28** Salmon, die Ahoët; Ma'harai,^g die Netofatiet; **29** Heleb, die seun van Baäna, die Netofatiet; Ittai, die seun van Ribai uit Gi'bea van die Benjaminiete; **30** Bena'ja,^h 'n Piratoniet; Hiddai van die valleie* van Gaäs;ⁱ **31** Abi-Albon, die Arbatië; Asma'wet, die Bar-Humiet; **32** Eljag'ba, die Sa'alboniet; die seuns van Jasen; Jo'natan; **33** Samma, die Harariet; Ahi'am, die seun van Sarar, die Harariet; **34** Elife'let, die seun van Ahas'bai, die seun van die Maägatiet; Eli'am, die seun van Agito'fel,^j die Giloniet; **35** Hesro, die Karmeliet; Pa'arai, die Arbiet; **36** Jigal, die seun van Natan uit Soba; Bani, die Gadiet; **37** Selek, die Ammoniet; Na'harai, die Beërotiet, die wapendraer van Joab, die seun van Seru'ja; **38** Ira, die Jitriet; Gareb, die Jitriet,^k **39** en Uri'a,^l die Hetiet – altesaam 37.

24 Jehovah se woede het weer teen Israel opgevlam^m toe iemand Dawid teen hulle aangehits het* met die

23:30 *Of "wadi's". Sien Woordelys. **24:1** *Of "toe Dawid teen hulle aangehits is".

woorde: “Gaan tel^a Israel en Juda.”^b **2** Toe het die koning vir Joab,^c die hoof van die leërmag, wat by hom was, gesê: “Gaan asseblief deur al die stamme van Israel, van Dan tot Berse’ba,^d en registreer die volk sodat ek kan weet hoeveel mense* daar is.” **3** Maar Joab het vir die koning gesê: “Mag Jehovah u God die volk 100 keer groter maak en mag die oë van my heer die koning dit sien. Hoekom wil my heer die koning so iets doen?”

4 Maar die koning het geweer om na Joab te luister, en daarom het Joab en die hoofde van die leërmag van die koning af weggegaan om die Israeliete te registreer.^e **5** Hulle het deur die Jordaanrivier getrek en kamp opgeslaan by A’roër,^f regs* van die stad wat in die middel van die vallei^g is, en hulle het in die rigting van die gebied van die Gadiete en na Jaser^g gegaan. **6** Toe het hulle na Gi’lead^h en die land Tagtim-Hodsi gegaan, en daarna het hulle na Dan-Jaän en toe verder noord na Sidonⁱ gegaan. **7** Toe het hulle na die vestingstad Tirusⁱ en na al die stede van die Hewiete^k en die Kanaäniete gegaan, en uiteindelik het hulle die Negebⁱ van Juda in Berse’ba^m bereik. **8** So het hulle deur die hele land gegaan en ná nege maande en 20 dae by Jerusalem gekom. **9** Joab het toe vir die koning die getal gegee van almal wat geregistreer is. In Israel was daar 800 000 vegters met swaarde, en in Juda was daar 500 000.ⁿ

10 Maar Dawid se hart* het hom veroordeel^o nadat hy die

24:2 *Verwys blykbaar na manne wat oud genoeg was om in die leërmag te dien. **24:5** *Of “suid”. *Of “wadi”. Sien Worddelys. **24:10** *Of “gewete”.

HFST. 24

a 1Kr 27:23, 24

b 1Kr 21:1-3

c 2Sa 8:16

2Sa 20:23

d Rig 20:1

e Nu 1:2

1Kr 21:4

f De 2:36

Jos 13:8, 9

g Nu 32:34, 35

h Nu 32:40

i Ge 10:15

Ge 49:13

Jos 11:8

j Jos 19:24, 29

k Jos 11:19

l Jos 15:1

m Ge 21:31

Jos 15:21, 28

n Nu 2:32

Nu 26:51

1Kr 21:5, 6

1Kr 27:23

o 1Sa 24:5

Ro 2:15

Tweede kol.

a 2Sa 12:13

b Ps 130:3

Ho 14:2

1Jo 1:9

c 1Kr 21:8-13

d 1Sa 22:5

1Kr 29:29

e Spr 3:12

f Le 26:18, 20

2Sa 21:1

g Le 26:14, 17

h Le 26:16

i Heb 12:6

j Ps 103:8

Ps 119:156

k 2Kr 28:1, 5

l Nu 16:46

1Kr 27:24

m 2Sa 24:2

n 1Kr 21:14, 15

o Ps 78:38

Jer 26:19

Jl 2:13

p 2Kr 3:1

q Ge 10:15, 16

Jos 15:8

r Ps 95:7

volk getel het. Toe het Dawid vir Jehovah gesê: “Ek het ’n baie groot sonde gepleeg.^a Vergewe nou asseblief u kneg se oortreding,^b Jehovah, want ek het baie onverstandig opgetree.”^c **11** Toe Dawid die oggend opstaan, het Jehovah vir die profeet Gad,^d Dawid se sener, gesê: **12** “Gaan sê vir Dawid: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Ek gee jou drie opsies. Kies die een wat ek oor jou moet bring.””^e

13 Toe het Gad na Dawid gegaan en vir hom gevra: “Moet sewe jaar van hongersnood oor jou land kom?^f Of moet jy drie maande lank voor jou vyande vlug terwyl hulle jou agternasit?^g Of moet daar drie dae lank ’n vreeslike siekte in jou land wees?^h Dink nou mooi na oor watter antwoord ek vir die Een moet gee wat my gestuur het.” **14** Toe het Dawid vir Gad gesê: “Ek weet nie watter kant toe nie. Laat ons asseblief in Jehovah se hande val,ⁱ want hy is baie genadig,^j maar moenie dat ek in mense se hande val nie.”^k

15 Toe het Jehovah Israel van die oggend tot die vasgestelde tyd met ’n vreeslike siekte^l getref, en van Dan tot Berse’ba^m het 70 000 mense gesterf.ⁿ **16** Toe die engel sy hand na Jerusalem uitsteek om dit te verwoes, het Jehovah jammer gevoel vir sy volk,^o en hy het vir die engel wat verwoesting gebring het, gesê: “Dit is genoeg! Laat jou hand sak.” Jehovah se engel was naby die dorsvloer van Arau’na,^p die Jebusiet.^q

17 Toe Dawid die engel sien wat die mense doodmaak, het hy vir Jehovah gesê: “Ek is die een wat gesondig het, en ek is die een wat verkeerd opgetree het. Maar wat het hierdie skape^r

24:16 *Of “het Jehovah spyt gevoel oor die rampspoed”.

gedoen? Laat u hand asseblief teen my en die huis van my vader kom.”^a

18 Toe het Gad op daardie dag na Dawid toe gegaan en vir hom gesê: “Gaan na die dorsvloer van Arau’na, die Jebusiet,^b en rig daar vir Jehovah ’n altaar op.” **19** Dawid het soontoe gegaan, net soos Jehovah hom deur middel van Gad beveel het. **20** Toe Arau’na afkyk en die koning en sy knegte na hom toe sien kom, het Arau’na dadelik uitgegaan en voor die koning neergebuig met sy gesig na die grond toe. **21** Arau’na het gevra: “Hoekom het my heer die koning na sy kneg toe gekom?” Dawid het geantwoord: “Om die dorsvloer by jou te koop om vir Jehovah ’n altaar te bou, sodat die plaag onder die mense kan ophou.”^c **22** Maar Arau’na het vir Dawid gesê: “My heer die koning kan dit neem en enige offerande daar offer wat

HFST. 24

a 1Kr 21:16, 17

b 1Kr 21:18-23
2Kr 3:1c Nu 16:46, 47
Nu 25:8
2Sa 24:15

Tweede kol.

a 1Kr 21:24-28

b Eks 20:25
1Kr 22:1c 2Sa 21:14
2Kr 33:13

hy wil.* Hier is die beeste vir die brandoffer en die dorslee en die toerusting van die beeste wat u as hout kan gebruik. **23** Ek gee dit alles aan u, o koning.” Toe het Arau’na vir die koning gesê: “Mag u die goedkeuring geniet van Jehovah u God.”

24 Maar die koning het vir Arau’na gesê: “Nee, ek moet dit teen ’n prys van jou koop. Ek sal nie vir Jehovah my God brandoffers offer wat my niks kos nie.” Dawid het toe die dorsvloer en die beeste vir 50 sikkels* silwer gekoop.^a **25** En Dawid het daar vir Jehovah ’n altaar gebou^b en brandoffers en vrede-offers* geoffer. Jehovah het na die smeekgebede vir die land geluister,^c en die plaag teen Israel het opgehou.

24:22 *Lett. “wat goed is in sy oë”.

24:24 *’n Sikkels was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. **24:25** *Of “gemeenskapsoffers”.

DIE EERSTE BOEK VAN KONINGS

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Dawid en Abisag (1-4)
Adonia probeer koningskap verkry (5-10)
Natan en Batseba tree op (11-27)
Dawid beveel dat Salomo gesalf word (28-40)
Adonia vlug na altaar (41-53)</p> <p>2 Dawid gee Salomo instruksies (1-9)
Dawid sterf; Salomo word koning (10-12)
Adonia se plan lei tot sy dood (13-25)
Abjatar uitgedryf; Joab doorgemaak (26-35)
Simeï doorgemaak (36-46)</p> | <p>3 Salomo trou met Faraos dogter (1-3)
Jehovah verskyn aan Salomo in droom (4-15)
Salomo vra vir wysheid (7-9)
Salomo oordeel tussen twee ma’s (16-28)</p> <p>4 Salomo se administrasie (1-19)
Voorspoed onder Salomo se bewind (20-28)
Veiligheid onder wingerdstok en vyeboom (29)
Salomo se wysheid en spreuke (29-34)</p> |
|--|---|

- 5 Koning Hiram voorsien boumateriaal (1-12)
Werkers deur Salomo opgeroep (13-18)
- 6 Salomo bou tempel (1-38)
Binneste vertrek (19-22)
Gerubs (23-28)
Graverings, deure, binneste voorhof (29-36)
Tempel in ongeveer sewe jaar voltooi (37, 38)
- 7 Salomo se paleis (1-12)
Vaardige Hiram help Salomo (13-47)
Die twee koperpilare (15-22)
Die See van gegote metaal (23-26)
Tien waentjies en komme van koper (27-39)
Voorwerpe van goud voltooi (48-51)
- 8 Die Ark in tempel ingebring (1-13)
Salomo spreek volk toe (14-21)
Salomo se toewydingsgebed vir tempel (22-53)
Salomo seën volk (54-61)
Offerandes en toewydingsfees (62-66)
- 9 Jehovah verskyn weer aan Salomo (1-9)
Salomo se geskenk aan koning Hiram (10-14)
Salomo se verskillende projekte (15-28)
- 10 Koningin van Skeba besoek Salomo (1-13)
Salomo se groot rykdom (14-29)
- 11 Salomo se vrouens beïnvloed hom (1-13)
Teenstanders teen Salomo (14-25)
Belofte dat Jerobeam tien stamme sal ontvang (26-40)
Salomo sterf; Rehabeam word koning (41-43)
- 12 Rehabeam se harde antwoord (1-15)
Tien stamme kom in opstand (16-19)
Jerobeam word koning van Israel (20)
Rehabeam moenie teen Israel veg nie (21-24)
Jerobeam se kalfaanbidding (25-33)
- 13 Profesie teen altaar by Bet-El (1-10)
Altaar uitmekaar geskeur (5)
Man van God is ongehoorsaam (11-34)
- 14 Ahia se profesie teen Jerobeam (1-20)
Rehabeam regeer oor Juda (21-31)
Sisak se aanval (25, 26)
- 15 Abiam, koning van Juda (1-8)
Asa, koning van Juda (9-24)
Nadab, koning van Israel (25-32)
Baäsa, koning van Israel (33, 34)
- 16 Jehovah se oordeel teen Baäsa (1-7)
Ela, koning van Israel (8-14)
Simri, koning van Israel (15-20)
Omri, koning van Israel (21-28)
Agab, koning van Israel (29-33)
Hiël herbou Jerigo (34)
- 17 Profeet Elia voorspel droogte (1)
Kraaie bring vir Elia kos (2-7)
Elia besoek weduwee in Sarfat (8-16)
Weduwee se seun sterf en word opgewek (17-24)
- 18 Elia gaan na Obadja en Agab (1-18)
Elia en Baälprofete by Karmel (19-40)
"Hoe lank sal julle besluiteloos bly?" (21)
Droogte van drie en 'n half jaar eindig (41-46)
- 19 Elia vlug vir Isebel (1-8)
Jehovah verskyn aan Elia by Horeb (9-14)
Elia moet Hasael, Jehu en Elisa salf (15-18)
Elisa aangestel as Elia se opvolger (19-21)
- 20 Siriërs veg teen Agab (1-12)
Agab verslaan Siriërs (13-34)
Profesie teen Agab (35-43)
- 21 Agab wil Nabot se wingerd hê (1-4)
Isebel reël dat Nabot doorgemaak word (5-16)
Elia se boodskap teen Agab (17-26)
Agab verneder homself (27-29)
- 22 Josafat ondersteun Agab (1-12)
Migaja voorspel nederlaag (13-28)
Bedrieglike gees om Agab te mislei (21, 22)
Agab doorgemaak by Ramot-Gilead (29-40)
Josafat se bewind oor Juda (41-50)
Ahasia, koning van Israel (51-53)

1 Koning Dawid was baie oud,^a en al het hulle hom met komberse toegemaak, het hy nie warm geword nie. **2** Toe het sy knegte vir hom gesê: "Laat ons vir my heer die koning 'n meisie vind, 'n maagd, wat die koning kan bedien en versorg. Sy sal in u arms lê sodat my heer die koning warm kan word." **3** En hulle het deur die hele gebied van Israel na 'n pragtige meisie gesoek, en hulle het Abi-sag,^b die Sunammiet,^c gevind en haar na die koning toe geneem. **4** Die meisie was baie mooi en sy het die koning se versorgster geword en hom bedien, maar die koning het nie seksuele omgang met haar gehad nie.

5 Intussen het Ado'nia,^d die seun van Haggit, meer mag probeer verkry en gesê: "Ek gaan koning wees!" Hy het vir hom 'n strydwa laat maak en perderuiters gekry, sowel as 50 manne om voor hom uit te hardloop.^e **6** Sy pa het hom nooit reggehelp* deur te vra: "Hoekom het jy dit gedoen?" nie. Hy was ook baie aantreklik, en hy is ná Absalom gebore. **7** Hy het met Joab, die seun van Seru'ja, en met die priester Abja'tar^f gaan praat, en hulle het ingestem om Ado'nia te help en te ondersteun.^g **8** Maar die priester Sadok,^h Bena'ja,ⁱ die seun van Joja'da, die profeet Natan,^j Si'mei,^k Reï en Dawid se magtige vegters^l het Ado'nia nie ondersteun nie.

9 Later het Ado'nia skape, beeste en vetgemaakte diere geoffer^m by die klip Sohe'let, wat naby En-Rogel is, en hy het al sy broers, die koning se seuns, en al die manne van Juda, die koning se knegte, genooi. **10** Maar hy het nie

1:6 *Of "nooit sy gevoelens seerge-maak; hom nooit bestraf".

HFST. 1

a 2Sa 5:4

1Kr 29:26, 27

b 1Kn 2:17, 22

c Jos 19:17, 18

d 2Sa 3:2, 4

1Kr 3:1, 2

e 2Sa 15:1

f 2Sa 20:25

g 1Kn 2:22

h 2Sa 8:17

i 2Sa 20:23

1Kr 27:5

j 2Sa 7:2

2Sa 12:1

k 1Kn 4:7, 18

l 2Sa 23:8

1Kr 11:10

m 2Sa 15:12

Tweede kol.

a 2Sa 7:4, 5

b 2Sa 11:3, 27

c 2Sa 12:24

d 2Sa 3:2, 4

e Rig 9:4-6

1Kn 1:21

2Kn 11:1

f 1Kr 22:9

1Kr 28:5

1Kr 29:1

g 1Kn 1:1, 3

h 1Kn 1:13

1Kr 22:9, 10

i 1Kn 1:5, 11

j 1Kn 1:7

k 1Kn 1:9, 10

die profeet Natan, Bena'ja en die magtige vegters of sy broer Salomo genooi nie. **11** Natan^a het toe vir Batse'ba,^b Salomo se ma,^c gevra: "Het u nie gehoor dat Ado'nia,^d die seun van Haggit, koning geword het sonder dat Dawid daarvan weet nie? **12** Laat ek asseblief vir u raad gee sodat u u lewe en die lewe van u seun Salomo^e kan red. **13** Gaan na koning Dawid en vra vir hom: 'Het my heer die koning nie vir u diensmeisie gesweer en gesê: "Jou seun Salomo sal ná my koning word, en hy is die een wat op my troon sal sit" nie?' Hoekom het Ado'nia dan koning geword?' **14** Terwyl u nog met die koning praat, sal ek inkom en bevestig wat u sê."

15 Batse'ba het toe na die koning in sy kamer gegaan. Die koning was baie oud, en Abi-sag,^g die Sunammiet, het die koning bedien. **16** Toe het Batse'ba voor die koning op haar knieë gegaan en neergebuig, en die koning het gevra: "Wat kan ek vir jou doen?" **17** Sy het geantwoord: "My heer, u het by Jehovah u God vir u diensmeisie gesweer: 'Jou seun Salomo sal ná my koning word, en hy is die een wat op my troon sal sit.'^h **18** Maar nou het Ado'nia koning geword sonder dat my heer die koning daarvan weet.ⁱ **19** Hy het baie bulle, vetgemaakte diere en skape geoffer, en hy het al die seuns van die koning en die priester Abja'tar en Joab, die hoof van die leërmag,^j genooi; maar hy het nie u kneg Salomo genooi nie.^k **20** En nou is die oë van die hele Israel op u, my heer die koning, om vir hulle te sê wie ná my heer die koning op u troon gaan sit. **21** Anders sal ek en my seun Salomo as verraaiers

beskou word sodra my heer die koning sterf.”*

22 En terwyl sy nog met die koning gepraat het, het die profeet Natan ingekom.^a **23** Dadelik is daar vir die koning gesê: “Die profeet Natan is hier!” Hy het na die koning toe gegaan, gekniel en neergebuig met sy gesig na die grond toe. **24** Toe het Natan gesê: “My heer die koning, het u gesê dat Ado'nia ná u koning sal word en dat hy op u troon sal sit?”^b **25** Want hy het vandag baie bulle, vetgemaakte diere en skape gaan offer,^c en hy het al die seuns van die koning, die hoofde van die leërmag en die priester Abja'tar^d genooi. Hulle eet en drink saam met hom en hulle sê aanhoudend: ‘Lank lewe koning Ado'nia!’ **26** Maar hy het my, u kneg, nie genooi nie en ook nie vir Sadok, die priester, of vir Bena'ja,^e die seun van Joja'da, of u kneg Salomo nie. **27** Het my heer die koning dalk hierdie besluit geneem sonder om vir my te sê wie ná u op u troon moet sit?”

28 Koning Dawid het toe geantwoord: “Roep Batse'ba vir my.” Toe het sy ingekom en voor die koning gaan staan. **29** Die koning het toe gesweer: “So waar as wat Jehovah lewe, wat my uit alle moeilikhede gered het,^f **30** vandag sal ek doen wat ek vir jou by Jehovah, die God van Israel, gesweer het: ‘Jou seun Salomo sal ná my koning word, en hy is die een wat in my plek op my troon sal sit!’” **31** Toe het Batse'ba voor die koning op haar knieë gegaan en met haar gesig na die grond toe neergebuig en gesê: “Lank lewe koning Dawid!”

1:21 *Lett. “by u vaders neergelê word”.

HFST. 1

a 1Kn 1:14

b 1Kn 1:5

c 2Sa 15:12

d 1Kn 1:5, 7

e 1Kr 27:5

f Ps 71:23

Ps 103:4

Tweede kol.

a 2Sa 20:23

2Sa 23:20

1Kr 27:5

b 1Kn 1:8

c 1Kn 1:38

Lu 19:33-35

d 2Kr 32:30

e 1Sa 16:13

f 1Sa 10:1, 24

2Sa 15:10

2Kn 11:12

g 1Kr 28:20

h 1Kn 3:12

1Kn 10:23

Ps 72:8

i 1Kr 27:5

j 2Sa 15:18

1Kr 18:17

k 1Kn 1:33

Mt 21:7

l 2Kr 32:30

m Eks 30:23-25

1Sa 16:13

n 2Sa 6:17

o 1Kr 29:22

p 1Sa 4:5

q 1Kn 1:9, 25

32 Koning Dawid het dadelik gesê: “Roep vir my die priester Sadok, die profeet Natan en Bena'ja,^a die seun van Joja'da.”^b Toe het hulle na die koning gegaan. **33** Die koning het vir hulle gesê: “Neem die knegte van julle heer saam met julle, en julle moet my seun Salomo op my eie muil laat ry^c en hom na Gihon^d neem. **34** Die priester Sadok en die profeet Natan moet hom daar as koning oor Israel self.^e Daarna moet julle op die horing blaas en sê: ‘Lank lewe koning Salomo!’^f **35** Volg hom dan terug hierheen, en hy moet inkom en op my troon sit. En hy sal in my plek koning wees, en ek sal hom as leier oor Israel en oor Juda aanstel.” **36** Dadelik het Bena'ja, die seun van Joja'da, vir die koning gesê: “Amen! Mag Jehovah, die God van my heer die koning, dit bevestig. **37** Mag Jehovah met Salomo wees net soos hy met my heer die koning was,^g en mag Hy sy troon groter maak as die troon van my heer koning Dawid.”^h

38 Die priester Sadok, die profeet Natan, Bena'ja,ⁱ die seun van Joja'da, en die Kertiete en die Peletiete^j het Salomo op koning Dawid se muil laat ry^k en hom na Gihon^l gebring. **39** Die priester Sadok het toe die horing met olie^m uit die tentⁿ geneem en Salomo gesalf,^o en hulle het op die horing geblaas, en almal het uitgeroep: “Lank lewe koning Salomo!” **40** Daarna het almal hom gevolg, en hulle het op fluite gespeel en was baie vreugdevol, en hulle het soveel geraas gemaak dat die aarde gebewe het.^p

41 Ado'nia en almal wat hy genooi het, het dit gehoor nadat hulle geëet het.^q Toe Joab die geluid van die horing hoor,

het hy gevra: "Hoekom is daar soveel geraas in die stad?"

42 Terwyl hy nog gepraat het, het Jo'natan,^a die seun van die priester Abja'tar, daar aangekom. Toe het Ado'nia gesê: "Kom in, want jy is 'n goeie man, en jy bring seker goeie nuus."

43 Maar Jo'natan het Ado'nia geantwoord: "Nee! Ons heer koning Dawid het Salomo koning gemaak. **44** Die koning het die priester Sadok, die profeet Natan, Bena'ja, die seun van Joja'da, en die Keretiete en die Peletiete saam met hom gestuur, en hulle het hom op die koning se muil laat ry.^b

45 Toe het die priester Sadok en die profeet Natan hom in Gihon as koning gesalf. Daarna het hulle met vreugde teruggekeer, en nou is daar 'n groot lawaai in die stad. Dit was die geraas wat julle gehoor het. **46** Salomo het selfs op die koninklike troon gaan sit. **47** En die knegte van die koning het na ons heer koning Dawid toe gegaan en hom gelukgewens en gesê: 'Mag u God die naam van Salomo groter maak as u naam, en mag Hy sy troon groter maak as u troon!' Toe het die koning op sy bed voor God neergebuig. **48** Die koning het ook gesê: 'Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word, wat my vandag iemand gegee het om op my troon te sit en wat my dit met my eie oë laat sien het!'"

49 En almal wat deur Ado'nia genooi is, het baie bang geword, en elkeen het opgestaan en sy eie pad gegaan. **50** Ado'nia was ook bang vir Salomo, en daarom het hy opgestaan en aan die horings van die altaar^c gaan vashou. **51** Salomo het die volgende boodskap ontvang: "Ado'nia het bang geword vir koning Salomo, en hy het die horings van die altaar vasgegryp en ge-

HFST. 1

a 2Sa 15:36
2Sa 17:17

b 1Kn 1:33, 34

c Eks 21:14
Eks 38:1, 2
1Kn 2:28

Tweede kol.

a 1Kn 2:23

HFST. 2

b De 31:6
Jos 1:6
1Kr 28:20

c 1Kn 3:7

d De 17:18-20
Pr 12:13e De 6:5
2Kn 20:3
2Kn 23:3
2Kr 17:3
Mt 22:37f 2Sa 7:12, 16
1Kn 8:25
1Kr 17:11
Ps 132:11, 12

g 2Sa 3:27, 30

h 2Sa 17:25
2Sa 20:10
1Kr 2:17i Nu 35:33
2Sa 3:28

sê: 'Koning Salomo moet eers vir my sweer dat hy sy kneg nie met die swaard sal doodmaak nie.'" **52** Salomo het toe gesê: "As hy reg optree, sal daar nie eers 'n enkele haar van sy kop op die grond val nie, maar as iets slegs in hom gevind word,^a dan sal hy moet sterf." **53** Koning Salomo het hom toe van die altaar af laat kom. Toe het hy ingekom en voor koning Salomo neergebuig, en daarna het Salomo vir hom gesê: "Gaan na jou huis toe."

2 Toe Dawid op sterwe gelê het, het hy vir sy seun Salomo die volgende instruksies gegee: **2** "Ek het nie meer lank om te lewe nie. Daarom moet jy sterk wees^b en wys dat jy 'n man is.^c **3** Jy moet jou verpligting teenoor Jehovah jou God nalkom deur sy weë te volg en deur sy wetsbepalings, sy gebooië, sy oordele en sy herinneringe te gehoorsaam soos dit in die Wet van Moses geskryf is.^d Dan sal jy suksesvol wees* oral waar jy gaan en in alles wat jy doen. **4** En Jehovah sal sy belofte hou wat hy aan my gemaak het: 'As jou seuns seker maak dat hulle my weg getrou volg met hulle hele hart en siel,^e sal daar altyd 'n man van jou geslagslyn wees wat op die troon van Israel sit.'^f

5 "Jy weet ook goed wat Joab, die seun van Seru'ja, aan my gedoen het deur wat hy met twee hoofde van die leer-mag van Israel gedoen het - Abner,^g die seun van Ner, en Amasa,^h die seun van Jeter. Hy het hulle doodgemaak en oorlogsbloed in 'n tyd van vrede laat vloei.ⁱ En hy het die lyfband om sy heupe en die sandale aan sy voete met oorlogsbloed bevek.

2:3 *Of "wys optree". 2:4 *Sien Woordelys.

6 Doen wat jy dink wys is, en moenie toelaat dat sy grys hare in vrede na die Graf* afgaan nie.^a

7 "Maar betoon lojale liefde aan die seuns van Barsil'lai,^b die Gileadiet. Gee vir hulle 'n plek by dié wat aan jou tafel eet, want hulle het my bygestaan^c toe ek vir jou broer Absalom gevlug het.^d

8 "Dan is daar Si'meï, die seun van Gera, die Benjaminiër uit Bahu'rim. Hy het 'n vreeslike vloek oor my uitgespreek^e op die dag toe ek na Mahana'im/ gegaan het, maar toe hy my by die Jordaanrivier kom ontmoet het, het ek vir hom by Jehovah gesweer en gesê: "Ek sal jou nie met die swaard doodmaak nie."^g

9 Moet hom nie ongestraf laat bly nie,^h want jy is 'n wyse man en jy weet wat jy met hom moet doen. Jy moet sy grys hare met bloed na die Graf* laat afgaan."ⁱ

10 Dawid het gesterf,* en hy is in die Stad van Dawid^j begrawe. 11 Dawid het 40 jaar lank oor Israel regeer. Hy het 7 jaar lank in He'bron^k regeer, en hy het 33 jaar lank in Jerusalem regeer.^l

12 Salomo het toe op die troon van sy pa, Dawid, gaan sit, en sy koningskap het geleidelik stewig gevestig geword.^m

13 Ná verloop van tyd het Ado'nia, die seun van Haggit, na Batse'ba, Salomo se ma, toe gegaan. Sy het gevra: "Kom jy in vrede?" Hy het geantwoord: "Ja, ek kom in vrede." 14 Hy het toe gesê: "Ek wil iets met u bespreek." En sy het gesê: "Praat gerus." 15 Hy het gesê: "U weet goed dat die koningskap myne moes word, en die hele Israel het verwag dat ek

HFST. 2

a 2Sa 3:29
1Kn 2:31-34

b 2Sa 19:31

c 2Sa 17:27-29

d 2Sa 15:14

e 2Sa 16:5-7

f 2Sa 17:24

g 2Sa 19:23

h Eks 22:28

i 1Kn 2:44, 46

j 2Sa 5:7
1Kr 11:7
1Kr 29:26, 27
Han 2:29

k 1Kr 12:23

l 2Sa 5:4, 5

m 2Sa 7:8, 12
1Kr 29:23
2Kr 1:1
Ps 89:36, 37
Ps 132:12

Tweede kol.

a 1Kn 1:5, 25

b 1Kr 22:9

c 1Kn 1:1, 3

d 2Sa 16:21

e 1Kr 3:1, 2, 5

f 2Sa 8:16

g 1Kn 1:7

koning sou word.^a Maar ek het nie die koningskap gekry nie. Dit het my broer s'n geword, want dit was Jehovah se wil dat dit syne moes word.^b 16 Maar nou is daar net een ding wat ek van u wil vra. Moet asseblief nie nee sê nie." Toe het sy vir hom gesê: "Vra gerus." 17 Hy het gesê: "Vra asseblief vir koning Salomo om Abi'sag,^c die Sunammiet, aan my as vrou te gee, want hy sal nie vir u nee sê nie." 18 Toe het Batse'ba gesê: "Goed! Ek sal vir die koning gaan vra."

19 Batse'ba het na koning Salomo gegaan om met hom te praat oor Ado'nia se versoek. Die koning het dadelik opgestaan om haar te ontmoet en het voor haar neergebuig. Toe het hy op sy troon gaan sit en vir sy ma 'n troon laat haal, sodat sy aan sy regterkant kon sit.

20 Sy het toe gesê: "Daar is iets kleins wat ek van jou wil vra. Moet asseblief nie nee sê nie." En die koning het vir haar gesê: "Vra gerus, Ma, want ek sal nie nee sê nie." 21 Sy het gesê: "Laat Abi'sag, die Sunammiet, aan jou broer Ado'nia as vrou gegee word." 22 Toe het koning Salomo haar geantwoord: "Hoekom vra Ma dat Abi'sag, die Sunammiet, aan Ado'nia gegee word? Ma kan net sê dat die koningskap aan hom gegee word,^d want hy is my ouer broer,^e en die priester Abja'tar en Joab,^f die seun van Seru'ja,^g ondersteun hom."

23 Toe het koning Salomo by Jehovah gesweer en gesê: "Mag God my swaar straf* as Ado'nia nie sy lewe verloor omdat hy my dit gevra het nie. 24 En nou, so waar as wat Jehovah lewe, wat my op die troon van my

2:23 *Lett. "so aan my doen en daarby voeg".

2:6, 9 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. 2:10 *Lett. "is by sy vaders neergelê".

pa, Dawid, laat sit het en wat my koningskap stewig gevestig het^a en 'n koningshuis aan my gegee het,^b soos hy belowe het, vandag sal Ado'nia doodgemaak word."^c **25** Koning Salomo het Bena'ja,^d die seun van Joja'da, onmiddellik gestuur, en Bena'ja het Ado'nia doodgemaak.*

26 Die koning het vir die priester Abja'tar^e gesê: "Gaan na jou grond in A'natot!^f Jy verdien die dood, maar ek sal jou nie vandag doodmaak nie omdat jy die Ark van die Soewereine Heer Jehovah vir my pa, Dawid, gedra het^g en omdat jy al my pa se moeilike tye saam met hom deurgemaak het."^h **27** So het Salomo Abja'tar uitgedryf en sy diens as 'n priester van Jehovah beëindig, om Jehovah se woord te vervul teen die huis van Eliⁱ in Silo.^j

28 Toe Joab die nuus hoor, het hy na die tent van Jehovah gevlug^k en die horings van die altaar vasgegryp (want Joab het Ado'nia ondersteun,^l hoewel hy Absalom nie ondersteun het nie).^m **29** Daar is toe vir koning Salomo gesê: "Joab het na die tent van Jehovah gevlug, en hy staan langs die altaar." Daarna het Salomo Bena'ja, die seun van Joja'da, gestuur en gesê: "Gaan, maak hom dood!" **30** Bena'ja het na die tent van Jehovah gegaan en vir Joab gesê: "Dít is wat die koning sê: 'Kom uit!'" Maar hy het gesê: "Nee! Ek sal hier sterf." Bena'ja het toe vir die koning gaan sê wat Joab gesê het. **31** En die koning het vir hom gesê: "Doen net soos hy gesê het. Maak hom dood en begrawe hom en verwyder van my en van die huis van my vader die bloed van die mense wat Joab sonder rede

2:25 *Of "aangeval, en hy het gesterf".

HFST. 2

a 1Kr 22:9,10

b 2Sa 7:11
1Kr 17:10

c 1Kn 1:51, 52

d 2Sa 8:18
1Kn 1:8
1Kr 27:5

e 1Sa 22:20
1Kn 1:7

f Jos 21:8,18
Jer 1:1

g 1Sa 23:6
2Sa 15:24
1Kr 15:11,12

h 1Sa 22:22,23

i 1Sa 2:31
1Sa 3:12

j Jos 18:1

k 1Kr 21:29

l 1Kn 1:7

m 2Sa 18:14

Tweede kol.

a Ge 9:6
Eks 21:14
Nu 35:33
De 19:13
1Kn 2:5

b 2Sa 3:26,27

c 2Sa 2:8

d 2Sa 20:10

e 2Sa 17:25

f 2Sa 3:29

g 1Kr 11:24
1Kr 27:5

h 1Sa 2:35
1Kr 6:50, 53
1Kr 12:28
1Kr 16:37, 39
1Kr 24:3

i 1Kn 2:8

j 2Sa 15:23
2Kn 23:6
Joh 18:1

k 1Sa 21:10
1Sa 27:2

doodgemaak het.^a **32** Jehovah sal hom terugbetaal* omdat hy twee manne wat regverdiger en beter as hy was, aangeval en met die swaard doodgemaak het sonder dat my pa, Dawid, daarvan geweet het, naamlik: Abner,^b die seun van Ner, die hoof van die leërmag van Israel,^c en Ama'sa,^d die seun van Jeter, die hoof van die leërmag van Juda.^e **33** Joab en sy nageslag sal vir ewig vir hulle dood* verantwoordelik gehou word.^f Maar mag daar vir Dawid, sy nageslag, sy huis en sy troon vir ewig vrede van Jehovah af wees."

34 Toe het Bena'ja, die seun van Joja'da, vir Joab gaan doodmaak, en hy is by sy huis in die wildernis begrawe. **35** Toe het die koning Bena'ja,^g die seun van Joja'da, in sy plek oor die leërmag aangestel, en die koning het die priester Sadok^h in die plek van Abja'tar aangestel.

36 Daarna het die koning Si'meï laat roep en vir hom gesê: "Bou vir jou 'n huis in Jerusalem, en gaan woon daar. Moenie die stad verlaat om na enige ander plek te gaan nie. **37** Die dag dat jy uitgaan en deur die Kidron-valleiⁱ gaan, sal jy sekerlik sterf. Jy sal vir jou eie dood verantwoordelik wees."* **38** Si'meï het vir die koning gesê: "Wat u gesê het, is redelik. U kneg sal doen net soos my heer die koning gesê het." Si'meï het toe 'n hele tyd lank in Jerusalem gebly.

39 Maar drie jaar later het twee van Si'meï se slawe wegeloop na Agis,^k die seun van Ma'äga, die koning van Gat. Toe Si'meï hoor dat sy slawe in Gat is, **40** het hy sy donkie dade-

2:32 *Lett. "sal sy bloed op sy kop laat terugkom". 2:33 *Lett. "bloed". 2:37 *Lett. "Jou bloed sal op jou eie kop wees".

lik opgesaal en na Agis in Gat gegaan om na sy slawe te gaan soek. Toe Si'mei met sy slawe van Gat af terugkeer, **41** is daar vir Salomo gesê: "Si'mei het uit Jerusalem na Gat gegaan, en hy is nou weer terug."

42 Toe het die koning Si'mei laat roep en vir hom gesê: "Ek het jou voor Jehovah onder 'n eed geplaas en jou gewaarsku deur te sê: 'Jy moet weet dat jy sal sterf as jy hier uitgaan en na enige ander plek gaan.' En jy het vir my gesê: 'Wat u gesê het, is redelik. Ek sal dit doen.'^a **43** Hoekom het jy dan nie die eed van Jehovah gehou en my bevel gehoorsaam nie?"

44 Die koning het toe vir Si'mei gesê: "Jy weet in jou hart wat jy alles aan my pa, Dawid, gedoen het,^b en Jehovah sal jou daarvoor terugbetaal.^c **45** Maar koning Salomo sal geseënd wees,^d en die troon van Dawid sal vir ewig stewig gevestig wees voor Jehovah."^e **46** Die koning het toe vir Bena'ja, die seun van Joja'da, 'n bevel gegee, en hy het Si'mei gaan doodmaak.^e

So is die koninkryk stewig gevestig in die hand van Salomo.^f

3 Salomo het 'n huweliksverbintenis met Faraó, die koning van Egipte, aangegaan. Hy het met Faraó se dogter getrou^g en haar na die Stad van Dawid^h gebring en haar daar laat woon totdat hy sy eie huisⁱ en die huis van Jehovah^j en die muur rondom Jerusalem^k klaar gebou het.

2 Die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes gebring,^l want daar was nog nie 'n huis vir die naam van Jehovah gebou nie.^m **3** Salomo het gewys dat hy lief is vir Jehovah deur die wetsbepalings van sy pa, Dawid, te volg, maar hy het op die offerhoogtes offerandes gebring en offers laat rook.ⁿ

HFST. 2

- a 1Kn 2:38
b 2Sa 16:5, 13
c Ps 7:16
Spr 5:22
d Ps 21:6
Ps 72:17
e 1Kn 2:8, 9
f 2Kr 1:1
Spr 16:12

HFST. 3

- g De 7:3, 4
1Kn 7:8
1Kn 9:24
1Kn 11:1
Ne 13:25-27
h 2Sa 5:7
1Kr 11:7
i 1Kn 7:1
j 1Kn 8:17-19
k 1Kn 9:15
l 2Kr 33:17
m De 12:5, 6
1Kn 5:3
1Kr 28:6
n 1Sa 7:9
1Sa 10:8
1Kr 21:26

Tweede kol.

- a 1Kr 16:39, 40
1Kr 21:29
b 2Kr 1:3-6
c 2Kr 1:7-10
d 1Kn 2:1, 4
e 1Kr 29:1
Jer 1:6
f Eks 19:5, 6
g Ps 72:1
Ps 119:34
h Heb 5:14
i Spr 15:8
j 1Kr 22:12
1Kr 29:19
2Kr 1:11, 12
Spr 16:16
k Pr 1:16
1Jo 5:14
l 1Kn 4:29
Spr 2:3-5
Jak 1:5
m Mt 12:42
n Ps 84:11
Mt 6:33
Ef 3:20
o 1Kn 4:21
Pr 7:11

4 Die koning het na Gi'beon gegaan om daar offerandes te bring, want dit is waar die belangrikste* offerhoogte was.^a Salomo het 1 000 brandoffers op daardie altaar geoffer.^b **5** In Gi'beon het Jehovah in die nag in 'n droom aan Salomo verskyn, en God het gevra: "Wat wil jy hê moet ek vir jou gee?"^c **6** Toe het Salomo gesê: "U het groot lojale liefde aan u kneg Dawid, my pa, betoon omdat hy u met getrouheid, regverdigheid en 'n opregte hart gedien het. U betoon nog steeds hierdie groot lojale liefde aan hom deurdat u hom 'n seun gegee het om op sy troon te sit."^d

7 En nou, Jehovah my God, het u u kneg koning gemaak in die plek van my pa, Dawid, hoewel ek nog jonk* en onervare is.^e **8** U kneg regeer oor u volk wat u uitgekies het,^f 'n volk wat so groot is dat hulle nie getel kan word nie. **9** Gee dus vir u kneg 'n gehoorsame hart om as regter vir u volk op te tree^g en om te onderskei tussen wat goed en wat sleg is,^h want wie kan as regter optree vir u groot* volk?"

10 Dit het Jehovah bly gemaak dat Salomo dit gevra het.ⁱ

11 God het toe vir hom gesê: "Omdat jy nie vir 'n lang lewe of rykdom of die dood van jou vyande gevra het nie, maar eerder vir insig om regsake te verhoor,^j **12** sal ek jou gee waarvoor jy gevra het.^k Ek sal jou 'n wyse en verstandige hart gee^l soos niemand voor jou gehad het of ná jou sal hê nie.^m

13 Ek sal ook vir jou dinge gee waarvoor jy nie gevra het nie.ⁿ Ek sal jou soveel rykdom sowel as heerlikheid gee^o dat daar in

3:4 *Lett. "groot". **3:7** *Of "'n seuntjie". *Lett. "nie weet hoe om uit te gaan en in te kom nie". **3:9** *Of moontlik "moeilike". Lett. "swaar".

jou leeftyd geen koning sal wees wat met jou vergelyk kan word nie.^a **14** En as jy my weë volg deur my wetsvoorskrifte en my gebooe te onderhou, net soos jou pa, Dawid, gedoen het,^b sal ek ook vir jou 'n lang lewe gee."^c

15 Toe Salomo wakker word, het hy besef dat dit 'n droom was. Hy het toe na Jerusalem gegaan en voor die ark van die verbond van Jehovah gaan staan en brandoffers en vrede-offers^{*d} geoffer en vir al sy knegte 'n feesmaal gehou.

16 In daardie tyd het twee prostitute na die koning toe gegaan en voor hom gaan staan.

17 Die eerste vrou het gesê: "My heer, ek en hierdie vrou woon in een huis, en ek het geboorte gegee terwyl sy in die huis was. **18** Drie dae nadat ek geboorte gegee het, het hierdie vrou ook geboorte gegee. Ons twee was alleen. Daar was niemand anders by ons in die huis nie. **19** Gedurende die nag het hierdie vrou se seun gesterf omdat sy op hom gelê het. **20** Toe het sy in die middel van die nag opgestaan terwyl u slavin geslaap het en my seun langs my weggenem en hom langs haar gesit, en sy het haar dooie seun langs my gesit. **21** Toe ek die oggend opstaan om my seun te borsvoed, het ek gesien dat hy dood is. Maar toe ek mooi na hom kyk, het ek gesien dat dit nie my seun is aan wie ek geboorte gegee het nie." **22** Die ander vrou het gesê: "Nee, die lewende een is my seun en die dooie een is jou seun!" Maar die eerste vrou het die hele tyd gesê: "Nee, die dooie een is jou seun en die lewende een is my seun." Dit is hoe hulle voor die koning gestry het.

3:15 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 3

a 1Kn 10:23

b 1Kn 15:5

c Ps 21:4
Ps 91:14, 16
Spr 3:13, 16

d Le 7:11

Tweede kol.

a 1Kr 29:23-25
Ps 72:5

b 1Kn 3:9, 10

HFST. 4

c 2Kr 9:30
Pr 1:12

d 1Kr 6:8
1Kr 27:16, 17

e 2Sa 8:17
1Kr 27:32

f 2Sa 8:16
2Sa 20:24

g 1Kn 1:8
1Kn 2:35
1Kr 27:5

h 1Kn 2:26

i 1Kn 1:9, 10

23 Uiteindelik het die koning gesê: "Die een sê: 'Die lewende seun is myne en die dooie seun is joune!' en die ander een sê: 'Nee, die dooie seun is joune en die lewende seun is myne!'"

24 Die koning het gesê: "Bring vir my 'n swaard." Toe het hulle vir die koning 'n swaard gebring. **25** Die koning het toe gesê: "Sny die lewende kind in twee, en gee die een helfte aan die een vrou en die ander helfte aan die ander vrou." **26** Maar uit liefde het die ma van die lewende seun die koning dadelik gesmeek: "Asseblief, my heer! Gee die lewende kind vir haar. Moet hom nie doodmaak nie." Maar die ander vrou het die hele tyd gesê: "Hy sal nie myne of joune wees nie. Laat hulle hom in twee sny!" **27** Die koning het toe geantwoord: "Gee die lewende kind vir die eerste vrou! Moet hom nie doodmaak nie, want sy is sy ma."

28 Die hele Israel het gehoor wat die koning besluit het in verband met hierdie saak, en hulle het groot respek* vir die koning gekry,^a want hulle het gesien dat hy wysheid van God ontvang het om regverdig te oordeel.^b

4 Koning Salomo het oor die hele Israel regeer.^c **2** Dit was sy hoë amptenare: Asar'ja, die seun van Sadok,^d was die priester; **3** Eliho'ref en Ahi'a, die seuns van Sisa, was sekretarisse;^e Jo'safat,^f die seun van Ahi'lud, was die geskiedskrywer; **4** Bena'ja,^g die seun van Joja'da, was oor die leërmag; Sadok en Abja'tar^h was priesters; **5** Asar'ja, die seun van Natan,ⁱ was oor die beamp-tes; Sabud, die seun van Natan, was 'n priester en een van

3:28 *Lett. "vrees".

die koning se vriende;^a **6** Ahi'sar was oor die huishouding, en Adoni'ram,^b die seun van Abda, was oor die mense wat opgeroep is om vir die koning te werk.^c

7 Salomo het 12 beamptes oor die hele Israel gehad, en hulle het die koning en sy huishouding van kos voorsien. Elkeen het die verantwoordelikheid gehad om kos vir een maand van die jaar te voorsien.^d **8** Dit was hulle name: Die seun van Hur, oor die bergstreek van E'fraim; **9** die seun van Deker, oor Makas, Sa'albim,^e Bet-Semes en Elon-Bet-Hanan; **10** die seun van Hesus, oor Arub'bot (hy het Sogo en die hele land Hefer gehad); **11** die seun van Abina'dab, oor al die heuwels van Dor (Salomo se dogter Tafat het sy vrou geword); **12** Baäna, die seun van Ahi'lud, oor Ta'anag, Megid'do^f en die hele Bet-Sean,^g wat langs Sartan onder Jis'reël is, van Bet-Sean af tot by A'bel-Meho'la tot by die streek van Jok'meam;^h **13** die seun van Geber, oor Ra'mot-Gi'leadⁱ (hy het die tentdorpe gehad van Jari,^j die seun van Manas'se, wat in Gi'lead^k is; hy het ook die Argobstreek^l gehad, wat in Basan^m is: 60 groot stede met mure en kopergrondels); **14** Ahina'dab, die seun van Iddo, oor Mahana'im;ⁿ **15** Ahi'maäs, oor Naf'tali (hy het Basmat, 'n ander dogter van Salomo, as sy vrou geneem); **16** Baäna, die seun van Husai, oor Aser en Be'alot; **17** Jo'safat, die seun van Paru'ag, oor Is'saskar; **18** Si'mei,^o die seun van Ela, oor Benjamin;^p **19** Geber, die seun van Uri, oor die land Gi'lead,^q die land van Sihon,^r die koning van die Amorie, en van Og,^s die koning van Basan. Daar was ook een beampte oor al die ander beamptes in die land.

HFST. 4

- a 2Sa 15:37
1Kr 27:33
b 2Sa 20:24
1Kn 5:14
1Kn 12:18
c 1Kn 9:15
d 1Kr 27:1
e Jos 19:42, 48
f 2Kn 23:29
g Jos 17:11
1Sa 31:8, 10
h Jos 21:34
i De 4:41-43
1Kn 22:3
j Nu 32:41
De 3:14
k Nu 32:1
l De 3:4
m Jos 13:8, 11
n Ge 32:1, 2
2Sa 2:8, 9
o 1Kn 1:8
p Jos 18:11
q Jos 17:1
r Nu 21:21
s De 3:4

Tweede kol.

- a Ge 22:15, 17
b Pr 2:24
c Ge 15:18
Eks 23:31
2Sa 8:3
Ps 72:8-10
d Ps 72:10
e Jos 1:4
f Ge 10:19
g 1Kn 5:4
1Kr 22:9
Ps 72:7
h De 17:15, 16
1Kn 10:24-26
2Kr 1:14, 17
i 1Kn 4:7

20 Juda en Israel was so baie soos die sandkorrels wat by die see is.^a Hulle het geëet en gedrink en hulle was vreugdevol.^b

21 Salomo het regeer oor al die koninkryke van die Rivier^{*c} af tot by die land van die Filistyne en tot by die grens van Egipte. Hulle het skatting[#] betaal en het Salomo al die dae van sy lewe gedien.^d

22 Salomo se kos vir elke dag was 30 kor* fynmeel en 60 kor meel, **23** 10 vetgemaakte beeste en 20 veldbeeste en 100 skape, buiten 'n paar takbokke, wildsbokke,* reebokke en vetgemaakte koekoeke. **24** Hy het beheer gehad oor alles aan hierdie kant van die Rivier,^{*e} van Tifsag af tot by Gasa,^f insluitende al die konings aan hierdie kant van die Rivier, en daar was vrede in al die streke om hom.^g **25** Juda en Israel het in veiligheid gewoon, elkeen onder sy eie wingerdstok en onder sy eie vyeboom, van Dan tot Berse'ba, al die dae van Salomo.

26 En Salomo het 4 000* stalle gehad vir die perde wat sy strydwaens trek, en hy het 12 000 perde[#] gehad.^h

27 Hierdie beamptes het kos voorsien aan koning Salomo en aan almal wat aan koning Salomo se tafel geëet het. Elkeen was verantwoordelik vir sy maand en het gesorg dat daar niks kortkom nie.ⁱ **28** Hulle het ook gars en strooi gebring vir die perde en vir die spanne perde waar dit ook al nodig was,

4:21 *Die Eufraatrivier. #Sien Woordelys. **4:22** *n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanb. B14. **4:23** *Lett. "gaselle". **4:24** *D.w.s. wes van die Eufraatrivier. **4:26** *Hierdie syfer word in party manuskripte en in die parallelle verslag gevind. Ander manuskripte sê 40 000. #Of "perderuiters".

volgens die hoeveelheid wat elkeen moes bring.

29 En God het Salomo baie wysheid en verstand gegee, en soveel insig* as wat daar sandkorrels op die strand is.^a

30 Salomo se wysheid het die wysheid van al die mense van die Ooste en van Egipte oortref.^b

31 Hy was wyser as enige ander mens, wyser as Etan,^c die Esrahiet, en Heman,^d Kalkol^e en Darda, die seuns van Mahol, en sy roem het onder al die omliggende nasies versprei.^f

32 Hy het 3 000 spreuke^g en 1 005 liedere^h geskryf.* **33** Hy het oor die bome gepraat, van die sederboom in die Li'banon-berge tot die hisopⁱ wat uit die muur groei. Hy het ook oor die diere,^j die voëls,^k die kruipende diere^l en die visse gepraat. **34** Mense van alle nasies het gekom om Salomo se wysheid te hoor, insluitende konings van regoor die aarde wat van sy wysheid gehoor het.^m

5 Toe Hiram, die koning van Tirus,ⁿ gehoor het dat Salomo in die plek van sy pa as koning gesalf is, het hy sy knegte na Salomo gestuur, want Hiram was altyd 'n vriend van Dawid.*^o

2 Salomo het toe die volgende boodskap aan Hiram gestuur:^p

3 "U weet goed dat my pa, Dawid, nie 'n huis vir die naam van Jehovah sy God kon bou nie, omdat daar van alle kante teen hom oorlog gevoer is totdat Jehovah hom die oorwinning oor sy vyande gegee het.*^q **4** Maar nou het Jehovah my God my rus van al my vyande gegee.^r Daar is niemand wat my teë-

4:29 *Lett. "ruimheid van hart". **4:32** *Of "gespreek". **4:33** *Of "vlieënde diere". ^aDit sluit moontlik reptiele en insekte in. **5:1** *Of "was altyd lief vir Dawid". **5:3** *Lett. "totdat Jehovah hulle onder sy voetsole gesit het".

HFST. 4

a 1Kn 10:23
2Kr 1:10
Spr 2:6

b Han 7:22

c Ps 89:Ops

d Ps 88:Ops

e 1Kr 2:4, 6

f 1Kn 10:1, 7
Lu 11:31

g Spr 1:1
Pr 12:9

h Hgl 1:1

i Eks 12:22

j Spr 30:30

k Spr 30:19

l Spr 6:6
Spr 30:25

m 2Kr 9:1, 23

HFST. 5

n Ese 27:3

o 2Sa 5:11

p 2Kr 2:3

q 2Sa 7:5
1Kr 22:7, 8

r 1Kn 4:24, 25

Tweede kol.

a Spr 16:7

b 2Sa 7:12, 13
1Kr 22:9, 10
2Kr 2:4

c 1Kn 6:9, 20

d 2Kr 2:8

e 2Kr 2:11, 12

f 2Sa 6:5
1Kn 6:15
2Kr 3:5

g 2Kr 2:15, 16
Esr 3:7

staan nie, en daar is geen gevaar nie.^a **5** Ek is dus van plan om 'n huis vir die naam van Jehovah my God te bou, net soos Jehovah aan my pa, Dawid, belowe het toe hy gesê het: 'Jou seun wat ek in jou plek op jou troon sal sit, sal die huis vir my naam bou.'^b **6** Beveel dan nou u knegte om vir my sederbome uit die Li'banon-berge^c af te kap. My knegte sal saam met u knegte werk, en ek sal u knegte betaal wat u vra, want u weet goed dat nie een van ons weet hoe om bome af te kap soos die Sioniërs nie."^d

7 Toe Hiram die woorde van Salomo hoor, het hy baie bly geword en gesê: "Mag Jehovah vandag geloof word, want hy het vir Dawid 'n wyse seun gegee om oor hierdie groot volk te regeer!"^e **8** Hiram het die volgende boodskap aan Salomo gestuur: "Ek het die boodskap ontvang wat u aan my gestuur het. Ek sal die sederhout en jenerwout^f voorsien, net soos u gevra het. **9** My knegte sal dit van die Li'banon-berge na die see toe bring, en ek sal die hout saambind en dit vir u as vlotte oor die see stuur tot by die plek waar u vir my sê dit moet gaan. Ek sal dit daar uitmekaar laat haal, en u kan dit wegneem. In ruil daarvoor sal u die kos voorsien wat ek vir my huishouding aanvra."^g

10 So het Hiram al die sederhout en jenerwout voorsien wat Salomo wou hê. **11** En Salomo het Hiram 20 000 kor* koring as voedselvoorraad vir sy huishouding gegee en 20 kor olyfolie van baie goeie gehalte.^h Dit is wat Salomo Hiram jaar ná

5:11 *'n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanh. B14. ^aLett. "uitgestampte olie".

jaar gegee het.^a **12** En Jehovah het Salomo wysheid gegee, net soos Hy hom belowe het.^b En daar was vrede tussen Hiram en Salomo, en hulle twee het 'n ooreenkoms* gemaak.

13 Koning Salomo het mans uit die hele Israel opgeroep om vir hom te werk, altesaam 30 000.^c **14** Hy het hulle in groepe van 10 000 per maand na die Li'banon-berge gestuur. Hulle het 'n maand lank in die Li'banon-berge gebly en twee maande by hulle huis. En Adoniram^d was oor die mans wat opgeroep is om vir die koning te werk. **15** Salomo het 70 000 arbeiders* en 80 000 klipkappers^e in die berge gehad,^f **16** sowel as Salomo se 3 300 beamptes^g wat as voormanne oor die werkers toesig gehou het. **17** Op die koning se bevel het hulle groot, duur klippe^h uitgekap sodat hulle die fondamentⁱ van die huis met gekapte klippe/ konlê. **18** Salomo se bouers en Hiram se bouers en die Gebaliete^k het dus die kapwerk gedoen, en hulle het die hout en die klippe voorberei om die huis te bou.

6 In die 480ste jaar nadat die Israeliete uit Egipte gekom het,^j in die vierde jaar nadat Salomo koning oor Israel geword het, in die maand Sif^m (dit wil sê die tweede maand), het hy die huis van Jehovahⁿ begin bou.^o **2** Die huis wat koning Salomo vir Jehovah gebou het, was 60 el* lank, 20 el breed en 30 el hoog.^o **3** Die voortoel^p van die tempel* was 20 el breed (net so breed soos die huis). Dit was tien el lank, en

5:12 *Of "verbond". 5:15 *Of "lasdraers". 6:1 *Sien Aanh. B15. ^aSien Aanh. B8. 6:2 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. 6:3 *Lett. "tempel van die huis".

HFST. 5

a 2Kr 2:10

b 1Kn 3:12

1Kn 4:29

Jak 1:5

c 1Kn 9:15

d 2Sa 20:24

1Kn 4:6

1Kn 12:18

e 1Kr 22:15

f Jos 16:10

1Kn 9:20-22

2Kr 2:2

2Kr 2:17, 18

2Kr 8:7-9

g 1Kn 9:23

h 1Kn 7:9

1Kr 22:2

i Op 21:14

j 1Kn 6:7

k Jos 13:1, 5

HFST. 6

l Eks 12:14, 51

m 1Kn 6:37

n 1Kr 28:11, 12

2Kr 3:1, 2

o 2Kr 3:3

Esr 6:3

p 2Kr 3:4

Tweede kol.

a Ese 41:26

b Le 16:2

2Kr 5:7

Heb 9:3

c 1Kn 6:10

Ese 41:5, 26

d Ese 41:6, 7

e 1Kn 5:17

f Ese 41:11

g 1Kn 6:38

h 1Kn 5:6

1Kn 6:20

i 1Kn 6:5

j De 17:18, 19

1Kn 8:25

1Kr 28:9

k 2Sa 7:13

1Kr 22:9

dit was aan die voorkant van die huis.

4 Hy het vir die huis vensters gemaak met rame wat al hoe smaller word.^a **5** Hy het ook 'n gebou teenaan die muur van die huis opgerig. Dit het om die mure van die huis, die mure van die tempel* en die binneste vertrek^b geloop, en hy het syvertreke rondom gemaak.^c **6** Die onderste verdieping van die syvertreke was vyf el breed, die middelste verdieping was ses el breed en die derde verdieping was sewe el breed, want reg rondom die huis het hy die mure van elke opeenvolgende verdieping dunner gemaak, sodat die balke nie aan die mure van die huis vasgeheg is nie, maar op die mure gerus het.^d

7 Die huis is gebou met klip wat reeds afgewerk was,^e sodat geen hamers of byle of enige ystergereedskap in die huis gehoor is terwyl dit gebou is nie. **8** Die ingang van die onderste syvertrek was aan die suidkant* van die huis,^f en 'n spiraaltrap het opgegaan na die middelste verdieping, en van die middelste verdieping op na die derde verdieping. **9** Hy het verder aan die huis gebou en dit voltooi^g en 'n dak van sederbalke en rye sederplanke opgesit.^h **10** Hy het die syvertreke reg rondom die huis gebou,ⁱ wat elk vyf el hoog was en wat met sederbalke aan die huis vasgeheg was.

11 Intussen het Jehovah vir Salomo gesê: **12** "Wat hierdie huis betref wat jy bou, as jy my wetsbepalings volg, al my regterlike bevele nakom en al my gebooië gehoorsaam,^j dan sal ek ook my belofte hou wat ek aan jou pa, Dawid, gemaak het,^k

6:5 *Verwys hier na die Heilige. 6:8 *Lett. "regterkant".

13 en ek sal by die Israëliete woon,^a en ek sal my volk Israel nie verlaat nie.”^b

14 Salomo het verder aan die huis gebou om dit te voltooi. 15 Hy het die binnemure van die huis met sederplanke gebou. Hy het die binnemure met hout-panele bedek, van die vloer van die huis af tot by die balke van die plafon, en hy het die vloer van die huis met jenerwerplanke bedek.^c 16 En hy het met sederplanke ’n vertrek van 20 el agter in die huis gebou, van die vloer af tot by die dakbalke, en hy het die binneste vertrek,^d die Allerheiligste,^e aan die binnekant van die huis gebou. 17 En die tempel^{*f} – die deel van die huis aan die voorkant daarvan – was 40 el. 18 Op die sederhout aan die binnekant van die huis is kalbasse^g en blomme^h uitgekerf. Alles was van sederhout. Geen klip kon gesien word nie.

19 En hy het die binneste vertrekⁱ binne-in die huis gereedgemaak om die ark van die verbond van Jehovah daar te sit.^j 20 Die binneste vertrek was 20 el lank, 20 el breed en 20 el hoog,^k en hy het dit met suiwer goud oorgetrek en die altaar^l met sederhout bedek. 21 Salomo het die binnekant van die huis met suiwer goud oorgetrek,^m en hy het goue kettings voor die binneste vertrek gespan,ⁿ wat met goud oorgetrek was. 22 Hy het die hele huis met goud oorgetrek totdat die hele huis voltooi was, en hy het ook die hele altaar wat naby die binneste vertrek was, met goud oorgetrek.^o

23 In die binneste vertrek het hy twee gerubs^p van denne-

6:17 *D.w.s. die Heilige, wat voor die Allerheiligste was.

HFST. 6

a Eks 25:8
Le 26:12
Ps 132:13

b 1Kr 28:20

c 1Kn 5:8
2Kr 3:5

d 1Kn 6:5

e 2Kr 3:8,9
Heb 9:3

f Heb 9:2

g 1Kn 7:24

h Eks 25:33

i Heb 9:3

j Eks 40:21
1Kn 8:6

k 1Kn 6:16

l Eks 30:1
1Kn 7:48

m Eks 26:29
2Kr 3:7

n Eks 26:33

o Eks 30:1, 3
Eks 40:5

p Ge 3:24
2Kn 19:15
Ps 99:1

Tweede kol.

a 2Kr 3:10-13
2Kr 5:8

b Ps 80:1
Jes 37:16
Heb 9:4, 5

c 2Kr 3:14

d Ese 41:17, 18

e Eks 25:33
1Kn 6:18

hout* gemaak. Elkeen was tien el hoog.^a 24 Een vlerk van die gerub was vyf el, en die ander vlerk was vyf el. Van die punt van een vlerk tot die punt van die ander vlerk was tien el. 25 Die tweede gerub was ook tien el. Die twee gerubs was ewe groot en het dieselfde vorm gehad. 26 Die een gerub was tien el hoog, en die ander gerub ook. 27 Toe het hy die gerubs^b in die binneste huis* gesit. Die vlerke van die gerubs was uitgesprei sodat die vlerk van die een gerub tot aan die een muur gestrek het en die vlerk van die ander gerub tot aan die ander muur gestrek het. Hulle vlerke was ook uitgesprei na die middel van die huis toe, en die vlerke het aan mekaar geraak. 28 En hy het die gerubs met goud oorgetrek.

29 En op al die mure van die huis reg rondom die binneste en buitenste vertrekke* het hy gerubs,^c palmbome^d en blomme^e uitgekerf. 30 Hy het die vloer van die huis in die binneste en buitenste vertrekke met goud oorgetrek. 31 En vir die ingang van die binneste vertrek het hy deure van dennehout, sy-pilare en deurposte as ’n vyfde deel gemaak.* 32 Die twee deure was van dennehout, en hy het gerubs, palmbome en blomme daarop uitgekerf en dit met goud oorgetrek. Hy het die gerubs en die palmbome met goud bedek. 33 Hy het die deurposte van dennehout vir die ingang van die tempel* op dieself-

6:23 *Lett. “oliehout”, moontlik hout van die Aleppo-denneboom. 6:27 *D.w.s. die Allerheiligste. 6:29 *Lett. “binne en buite”. 6:31 *Verwys moontlik na die konstruksie van die deurraam of na die grootte van die deure. 6:33 *Verwys hier na die Heilige.

de manier gemaak, as 'n vierde deel.* **34** En hy het twee deure van jenerhout gemaak. Elke deur was 'n dubbeldeur wat op spille gedraai het.^a **35** Hy het gerubs, palmbome en blomme uitgekerf en dit met bladgoud oorgetrek.

36 Hy het die binneste voorhof^b met drie rye gekapte klip en 'n ry sederbalke gebou.^c

37 In die 4de jaar, in die maand Sif,* is die fondament van die huis van Jehovah gelê,^d **38** en in die 11de jaar, in die maand Bul* (dit wil sê die agtste maand), was die huis tot in die fynste besonderhede en volgens die plan voltooi.^e Hy het dus sewe jaar daaraan gebou.

7 Salomo het sy paleis gebou.^f Dit het hom 13 jaar geneem om dit te voltooi.^g

2 En hy het die Huis van die Li'banon-woud^h gebou. Dit was 100 el* lank, 50 el breed en 30 el hoog op vier rye sederpilare, en daar was sederbalkeⁱ op die pilare. **3** Bokant die dwarsbalke wat op die pilare gerus het, was die huis met panele van sederhout bedek. Daar was 45, met 15 in 'n ry. **4** Daar was drie rye vensters met rame. Elke venster was oorkant 'n ander venster, op drie verdiepings. **5** Al die ingange en die deurposte het vierkantige* rame gehad, net soos die voorkante van die vensters wat oorkant mekaar op drie verdiepings was.

6 En hy het die Pilaarsaal* gebou. Dit was 50 el lank en 30 el breed, en aan die voorkant

6:33 *Verwys moontlik na die konstruksie van die deurraam of na die grootte van die deure. **6:37, 38** *Sien Aanh. B15. **7:2** *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. **7:5** *Of "reghoekige". **7:6** *Of "Pilaarportaal".

HFST. 6

a Eze 41:24, 25

b Eks 27:9
2Kr 4:9
2Kr 7:7

c 1Kn 7:12

d 1Kn 6:1

e 1Kr 28:11, 12

HFST. 7

f 1Kn 9:10

g Pr 2:4, 5

h 1Kn 10:16, 17
Jes 22:8

i 1Kn 5:8

Tweede kol.

a 1Kn 10:18
Ps 122:2, 5b 1Kn 3:9, 28
Spr 20:8

c 2Kn 20:4

d 1Kn 3:1
1Kn 9:24
2Kr 8:11

e 2Kr 4:9

f 1Kn 5:17

g 1Kn 6:36
2Kr 4:9
2Kr 7:7

h 1Kn 6:3

i 1Kn 7:40
2Kr 2:13, 14

j 2Kr 4:16

k Eks 36:1

daarvan was daar 'n portaal met pilare en 'n afdak.

7 Hy het ook die Troonsaal*^a gebou, die Regsaal,^b waar hy regsake sou verhoor. En hulle het dit van die vloer tot die dakbalke met panele van sederhout bedek.

8 Die paleis* waarin hy sou woon, in die ander voorhof,^c was 'n entjie agter die Saal^d en is op dieselfde manier gebou. Hy het ook vir Farao se dogter, wat Salomo as vrou geneem het, 'n huis gebou^d wat soortgelyk was aan hierdie Saal.

9 Dit alles, van die fondament af tot by die boonste laag stene, en alles buitekant tot by die groot voorhof,^e was van duur klippe^f gemaak wat volgens die regte grootte gekap en aan alle kante met klipsae gesaag is. **10** En die fondament is met baie groot, duur klippe gelê. Sommige klippe was tien el lank en ander klippe was agt el lank. **11** En bo-op was daar duur klippe wat volgens die regte grootte gekap is, sowel as sederhout. **12** Rondom die groot voorhof was daar drie rye gekapte klip en 'n ry sederbalke soos dié vir die binneste voorhof^g van die huis van Jehovah en die portaal van die huis.^h

13 Koning Salomo het Hiramⁱ laat roep en hom uit Tirus gebring. **14** Hy was die seun van 'n weduwee uit die stam van Naftali, en sy pa was 'n koper-smid van Tirus.^j En hy het groot vaardigheid, kennis^k en ondervinding gehad om enige soort werk met koper* te doen. Hy het na koning Salomo toe gekom en al sy werk gedoen.

7:7 *Of "Troonportaal". **7:8** *Lett. "huis". ^aWaarsynlik die Troonsaal. **7:14** *Of "brons". (Ook waar die woord verder in hierdie hoofstuk voorkom.)

15 Hy het die twee koperpilare gegiet.^a Elke pilaar was 18 el hoog, en elkeen van die twee pilare^b was 12 el in omtrek.* 16 En hy het twee kopstukke van koper gegiet om bo-op die pilare te sit. Die een kopstuk was vyf el hoog, en die ander kopstuk was vyf el hoog. 17 Die kopstuk bo-op elke pilaar het netwerke van gedraaide kettingwerk^c gehad; sewe vir die een kopstuk en sewe vir die ander kopstuk. 18 En hy het twee rye granate om die een netwerk gemaak om die kopstukke te bedek wat bo-op die pilare was. Hy het dieselfde vir albei kopstukke gedoen. 19 En die kopstukke wat bo-op die pilare by die portaal was, het 'n lueliepatroon gehad wat vier el hoog was. 20 Hierdie deel van die kopstukke was bo-op die twee pilare net bokant die ronde deel met die netwerke, en daar was 200 granate in rye rondom elke kopstuk.^d

21 Hy het die pilare van die portaal van die tempel^e opgerig. Hy het die regterpilaar^f opgerig en dit Jagin^g genoem, en toe het hy die linkerpilaar^h opgerig en dit Boasⁱ genoem.^f 22 En die bokant van die pilare het 'n lueliepatroon gehad. En die werk aan die pilare is voltooi.

23 Toe het hy die See* van gegote metaal^g gemaak. Dit was rond, 10 el van die een rand tot by die ander rand, 5 el hoog en 30 el in omtrek.^h 24 En daar was kalbasvormige versie-

7:15 *Of "'n maatlyn van 12 el was nodig om rondom elkeen van die twee pilare te gaan". 7:21 *Verwys hier na die Heilige. ^fOf "pilaar aan die suidekant". ^gBeteken "mag hy [d.w.s. Jehovah] stewig vestig". ^hOf "pilaar aan die noordekant". ⁱBeteken moontlik "in krag". 7:23 *Of "waterbak". ^hOf "'n maatlyn van 30 el was nodig om daarom te gaan".

HFST. 7

a 1Kn 7:21

b 2Kn 25:13, 17
2Kr 3:15
Jer 52:21c 2Kn 25:17
2Kr 4:12, 13d 2Kn 25:17
2Kr 3:16
Jer 52:22, 23e 1Kn 6:3
Ese 40:48

f 2Kr 3:17

g Eks 30:18
2Kn 25:13

h 2Kr 4:2-5

Tweede kol.

a 1Kn 6:18

b Jer 52:20

c 2Kn 25:16
Jer 52:17

d Ese 41:19

e Ge 3:24
Eks 25:18
1Kn 6:27
2Kr 3:7
Ese 41:17, 18

ings^a onder die rand, tien per el reg rondom die See. Daar was twee rye kalbasse wat saam met die See as een stuk gegiet is. 25 Dit het op 12 bulle^b gestaan: 3 het noord gekyk, 3 het wes gekyk, 3 het suid gekyk en 3 het oos gekyk. Die See het op hulle gerus, en hulle agterkante was na die middel toe. 26 Die dikte daarvan was 'n handbreedte,* en die rand was soos die rand van 'n beker gemaak en het soos 'n luelie gelyk. Dit het 2 000 bat^f gehou.

27 Toe het hy tien koperwaentjies^g gemaak. Elke waentjie was vier el lank, vier el breed en drie el hoog. 28 Dit is hoe die waentjies gemaak is: Hulle het sypaneel gehad, en die sypaneel was tussen die dwarsbalke. 29 Op die sypaneel tussen die dwarsbalke was daar leeus,^d bulle en gerubs,^e en dieselfde patroon was op die dwarsbalke. Bo en onder die leeus en die bulle was daar kranse uitgebeeld.* 30 Elke waentjie het vier koperwiele met koperasse gehad, en vier hoekstukke het as ondersteuning daarvoor gedien. Onder die kom was die staanders, wat gegiet is met kranse aan elke kant. 31 Die opening van die kom was binne die kroon, en dit was een el hoog. Die opening van die kroon was rond, en saam met die staanders was dit een en 'n half el hoog, en daar was graverings op die kroon. Die sypaneel daarvan was vierkantig, nie rond nie. 32 Die vier wiele was onder die sypaneel, en die steunpunte van die wiele was aan die waentjie vas, en die hoogte van elke wiel was een en 'n half el. 33 Die wie-

7:26 *Omtrent 7,4 cm. Sien Aanh. B14. ^h'n Bat was gelyk aan 22 l. Sien Aanh. B14. 7:27 *Of "waterwaentjies". 7:29 *Of "kranse in reliëf".

le is soos wawiele gemaak. Hulle steunpunte, vellings, speke en nawe is alles van gegote metaal gemaak. **34** Daar was vier stutte op die vier hoeke van elke waentjie. Die stutte is as een stuk saam met die waentjie gegiet. **35** Bo-op die waentjie was daar 'n ronde rand van 'n half el hoog, en die rame en die sypaneel bo-op die waentjie is as een stuk saam met die waentjie gegiet. **36** Op die rame en die sypaneel is daar gerubs, lees en palmbome ge-graveer volgens die hoeveelheid plek daarop, en daar was kranse reg rondom.^a **37** Dit is hoe hy die tien waentjies^b gemaak het. Hulle is almal op dieselfde manier gegiet^c en het dieselfde grootte en vorm gehad.

38 Hy het tien koperkomme^d gemaak. Elkeen kon 40 bat hou. Elke kom was vier el.* Daar was een kom vir elkeen van die tien waentjies. **39** Toe het hy vyf waentjies aan die regterkant van die huis en vyf aan die linkerkant van die huis gesit, en hy het die See aan die regterkant van die huis gesit, aan die suid-oostekant.^e

40 Hiram^f het ook die komme, die grawe^g en die bakke^h gemaak.

En Hiram het al die werk voltooi wat hy vir koning Salomo aan die huis van Jehovah gedoen het:ⁱ **41** die twee pilare^j en die bakvormige kopstukke wat bo-op die twee pilare was; die twee netwerke^k wat die twee pilare se bakvormige kopstukke bedek het; **42** die 400 granate^l vir die twee netwerke (daar was twee rye granate vir elke netwerk wat die twee pilare se bakvormige kopstukke bedek het); **43** die tien waentjies^m en die tien kommeⁿ op die waentjies;

7:38 *Of "vier el in deursnee".

HFST. 7

- a 1Kn 6:29
1Kn 6:32
b 1Kn 7:27
c 1Kn 7:15, 46
2Kr 4:3
d Eks 30:18
e 2Kr 4:6, 10
f 1Kn 7:13
2Kr 2:13
g Eks 27:3
2Kn 25:14
h Eks 24:6
i 2Kr 4:11-17
j 1Kn 7:15
k 1Kn 7:17
l 1Kn 7:20
m 1Kn 7:27
n 1Kn 7:38

Tweede kol.

- a 1Kn 7:23
b 1Kr 22:14, 16
2Kr 4:18-22
c Eks 37:25
d Eks 37:10
e Eks 37:17
Op 1:20
f 1Kn 6:18
g Eks 37:23
h Jer 52:18
i Eks 25:29
j Le 16:12
k 1Kn 6:31
l 1Kn 6:33
m 2Sa 8:10-12
n 2Kr 5:1

HFST. 8

- o 2Kr 5:2, 3
p Pr 1:1
q 2Sa 6:17
r 2Sa 5:7
1Kr 11:5

44 die See^a en die 12 bulle daar-
onder; **45** die kanne, die gra-
we, die bakke en al die ander
voorwerpe wat Hiram van blink
gevyfde koper vir koning Salomo
gemaak het vir die huis van
Jehovah. **46** Die koning het dit
in kleivorms gegiet in die Jor-
daandistrik, tussen Sukkot en
Sartan.

47 Salomo het nie die voor-
werpe geweeg nie, want daar
was te veel. Die gewig van
die koper is nie bepaal nie.^b
48 Salomo het al die voor-
werpe vir die huis van Je-
hovah gemaak: die goue altaar,^c
die goue tafel^d waarop
die offerbrode gesit sou word,
49 die lampstaanders^e van sui-
wer goud, vyf regs en vyf links
voor die binneste vertrek, die
bloeisels,^f die lampe en die snui-
ters* (van goud),^g **50** die kom-
me, die blussers,^h die bakke, die
bekersⁱ en die vuurbakke^j (van
suiwer goud), die spilgate van
goud vir die deure van die bin-
neste huis,^k dit wil sê die Aller-
heiligste, en die deure van die
huis van die tempel,^l wat met
goud oorgetrek is.

51 Koning Salomo het al die
werk voltooi wat hy vir die huis
van Jehovah moes doen. Daar-
na het Salomo die dinge inge-
bring wat sy pa, Dawid, geheilig
het,^m en hy het die silwer, die
goud en die voorwerpe in die
skatkamers van die huis van Je-
hovah gesit.ⁿ

8 Salomo het in daardie tyd
die ouermanne van Israel,
al die stamhoofde en die hoof-
manne van die vaderhuise van
Israel^o bymekaargeriep.^p Hulle
het na koning Salomo in Je-
rusalem gegaan om die ark
van die verbond van Jeho-
vah uit die Stad van Dawid,^q
dit wil sê Sion,^r te bring. **2** Al

7:49 *Of "tange".

die manne van Israel het in die maand E'tanim,* dit wil sê die sewende maand, tydens die fees^{2a} voor koning Salomo bymekaargekom. **3** Toe al die ouermanne van Israel daar was, het die priesters die Ark opgetel.^b **4** Hulle het die Ark van Jehovah gedra, sowel as die tent van samekoms^c en al die heilige voorwerpe wat in die tent was. Die priesters en die Leviete het dit gedra. **5** Koning Salomo en almal van Israel wat beveel is om na hom toe te kom, was voor die Ark. Daar is soveel skape en beeste geoffer^d dat hulle nie getel kon word nie.

6 Toe het die priesters die ark van die verbond van Jehovah gebring na sy plek^e in die binneste vertrek van die huis, die Allerheiligste, en dit onder die vlerke van die gerubs^f gesit.

7 Die vlerke van die gerubs was oor die plek van die Ark uitgesprei. Die Ark en sy pale was dus onder die vlerke van die gerubs.^g **8** Die pale^h was so lank dat die punte van die pale gesien kon word vanuit die Heilige, voor die binneste vertrek, maar hulle kon nie van buite af gesien word nie. En hulle is tot vandag toe daar. **9** Daar was niks in die Ark nie behalwe die twee kliptabletteⁱ wat Moses by Horeb daarin gesit^j het toe Jehovah met die Israeliete 'n verbond gemaak^k het terwyl hulle uit Egipte getrek het.^l

10 Toe die priesters uit die heiligdom uitkom, het die wolk^m die huis van Jehovah gevul.ⁿ **11** En as gevolg van die wolk kon die priesters nie hulle diens verrig nie, want die heerlijkheid van Jehovah het die huis van Jehovah gevul.^o **12** Toe het Salo-

8:2 * Sien Aanh. B15. ^aD.w.s. die Hutfees.

HFST. 8

- a Le 23:34
De 16:13
b 1Kr 15:2, 15
2Kr 5:4-6
c Eks 40:2
2Kr 1:13
d 1Kr 16:1
e Eks 26:33
Eks 40:21
2Sa 6:17
Op 11:19
f 1Kr 6:27
2Kr 5:7
Ps 80:1
Ese 10:5
g Eks 25:20
2Kr 5:8-10
h Eks 25:14
Eks 37:4
i De 4:13
Heb 9:4
j Eks 40:20
De 10:5
k Eks 24:8
l Eks 19:1
Nu 10:11, 12
m Eks 40:34
Le 16:2
n 2Kr 5:11-14
o Eks 40:35
Ese 10:4
Ese 43:4
Ese 44:4
Han 7:55
Op 21:23

Tweede kol.

- a Eks 20:21
De 5:22
2Kr 6:1, 2
Ps 18:11
Ps 97:2
b Ps 78:69
Ps 132:13, 14
c 2Kr 6:3-11
d De 12:11
e 2Sa 7:1-3
1Kr 17:1, 2
f 2Sa 7:12, 13
g 1Kr 28:5, 6
h Eks 34:28
De 9:9
De 31:26
i 2Kr 6:12
j Eks 15:11
1Sa 2:2
2Sa 7:22

mo gesê: "Jehovah, u het gesê dat u in digte, donker wolke sou woon.^a **13** Ek het 'n glorieryke huis vir u gebou, 'n vaste plek waar u vir ewig kan woon."^b

14 Toe het die koning omgedraai en gekyk na al die Israeliete wat daar gestaan het, en hy het hulle geseën.^c **15** Hy het gesê: "Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word, die Een wat vervul het wat hy met sy eie mond aan my pa, Dawid, belowe het toe hy gesê het: **16** 'Van die dag af dat ek my volk Israel uit Egipte uitgelei het, het ek nooit uit die stamme van Israel 'n stad gekies waarin 'n huis gebou moet word waar my naam geëer sou word nie.^d Maar ek het Dawid gekies om oor my volk Israel te wees.' **17** En dit was my pa, Dawid, se hartsbegeerte om 'n huis vir die naam van Jehovah, die God van Israel, te bou.^e **18** Maar Jehovah het vir my pa, Dawid, gesê: 'Dit is jou hartsbegeerte om 'n huis vir my naam te bou, en dit is goed dat jy dit wil doen. **19** Maar jy sal nie die huis bou nie. Jou seun wat vir jou gebore sal word, is die een wat die huis vir my naam sal bou.'^f **20** Jehovah het sy belofte gehou, want ek het my pa, Dawid, opgevolg en ek sit op die troon van Israel, net soos Jehovah belowe het. En ek het die huis vir die naam van Jehovah, die God van Israel, gebou,^g **21** en ek het 'n plek daar ingerig vir die Ark waarin die verbond van Jehovah is^h wat hy met ons voorvaders gemaak het toe hy hulle uit Egipte uitgelei het."^h

22 Toe het Salomo voor die altaar van Jehovah en voor die hele gemeente van Israel gaan staan, sy hande na die hemel uitgestrekⁱ **23** en gesê: "O Jehovah, die God van Israel, daar is geen God soos u^j bo in die he-

mel of onder op die aarde nie, wat die verbond hou en lojale liefde betoon^a aan u knegte wat u met hulle hele hart dien.^b **24** U het u belofte aan my pa, u kneg Dawid, gehou. U het die belofte met u eie mond gemaak, en vandag het u dit nagekom.^c **25** En nou, o Jehovah, die God van Israel, hou die belofte wat u aan my pa, u kneg Dawid, gemaak het toe u gesê het: 'Daar sal altyd voor my 'n man van jou geslagslyn wees wat op die troon van Israel sit, solank jou seuns seker maak dat hulle my weg volg, net soos jy gedoen het.'^d **26** En nou, o God van Israel, vervul asseblief die belofte wat u aan my pa, u kneg Dawid, gemaak het.

27 "Maar sal God werklik op die aarde woon?^e Die hemel, selfs die hoogste hemele, kan u nie bevat nie.^f Wat nog te sê hierdie huis wat ek gebou het!^g **28** Skenk asseblief aandag aan die gebed van u kneg en aan my versoek om goedkeuring, o Jehovah my God, en luister na die geroep om hulp en na die gebed wat u kneg vandag tot u rig. **29** Hou asseblief dag en nag 'n wakende oog oor hierdie huis waarvan u gesê het: 'My naam sal daar wees,'^h en luister na die gebed wat u kneg in die rigting van hierdie plek bid.ⁱ **30** En luister na u kneg se versoek om goedkeuring en na die versoek van u volk Israel wat hulle in die rigting van hierdie plek bid, en mag u vanuit u woonplek in die hemel^j hoor. Mag u hoor en vergewe.^k

31 "Wanneer 'n man teen sy medemens sondig en verplig is om 'n eed af te lê* en hy onder

8:31 *Of "en sy medemens hom 'n vloek ople", d.w.s. 'n eed wat met 'n vloek gepaardgaan indien die persoon valslik sweer of nie die eed hou nie.

Hfst. 8

a De 7:9

b 2Kr 6:14-17

c 2Sa 7:12, 13

d 1Kn 2:4

Ps 132:12

e Jes 66:1

f Ps 148:13

Jer 23:24

g 2Kr 2:6

2Kr 6:18-21

Ne 9:6

Han 17:24

h Eks 20:24

2Sa 7:13

i Da 6:10

1Pe 3:12

j Ps 33:13

k 2Kr 7:13, 14

Da 9:19

Tweede kol.

a 2Kr 6:22, 23

b Job 34:11

c Le 26:14, 17

Jos 7:8, 11

2Kn 17:6, 7

d Ne 1:11

e 2Kn 19:19, 20

2Kr 6:24, 25

f Ps 106:47

g Le 26:19

De 28:23

h Ese 14:13

i 2Kr 6:26, 27

j Jes 30:20

Jes 54:13

k 1Kn 18:1

l Le 26:16

2Kn 6:25

m De 28:21, 22

Am 4:9

n 2Kr 6:28-31

o 2Kr 33:12, 13

die eed kom en hy voor u altaar in hierdie huis kom terwyl hy onder die eed is,^a **32** mag u dan vanuit die hemel hoor en optree en u knegte oordeel deur die goddelose skuldig* te verklaar en hom te straf vir wat hy gedoen het en deur die regverdige onskuldig[#] te verklaar en hom te beloon vir sy regverdigheid.^b

33 "Wanneer u volk Israel deur hulle vyande verslaan word omdat hulle aangehou het om teen u te sondig^c en hulle dan na u terugkeer en u naam verheerlik^d en tot u bid en u om genade smeek in hierdie huis,^e **34** mag u dan vanuit die hemel hoor. Vergewe dan die sonde van u volk Israel en bring hulle terug na die land wat u aan hulle voorvaders gegee het.^f

35 "Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie^g omdat hulle aangehou het om teen u te sondig^h en hulle dan in die rigting van hierdie plek bid en u naam verheerlik en ophou met hulle sonde omdat u hulle verneder* het,ⁱ **36** mag u dan vanuit die hemel luister en die sonde vergewe van u knegte, u volk Israel. Leer hulle^j wat die goeie weg is wat hulle moet volg, en laat dit asseblief reën op u land^k wat u aan u volk as 'n erfdeel gegee het.

37 "As daar hongersnood in die land ontstaan^l of as 'n vreeslike siekte, verskroeiende wind, 'n swamsiekte^m of swerms sprinkane die land tref; of as hulle vyande hulle in enige van die stede van die land aanval of as enige ander soort plaag of siekte uitbreek,ⁿ **38** en iemand of u hele volk Israel 'n gebed of versoek om genade^o

8:32 *Lett. "goddeloos". #Lett. "regverdig". **8:35** *Of "laat swaarkry".

tot u rig, wat dit ook al mag wees (want elkeen weet watter pyn in sy hart is),^a en hulle hulle hande in die rigting van hierdie huis uitstrek, **39** mag u dan hoor vanuit die hemel, u woonplek.^b En mag u vergewe^c en optree en elkeen beloon volgens wat hy verdien,^d want u ken elkeen se hart (net u ken werklik die hart van elke mens).^e **40** Dan sal hulle u vrees solank as wat hulle in die land woon wat u aan ons voorvaders gegee het.

41 "En wat die uitlander betref wat nie deel is van u volk Israel nie en wat weens u naam* uit 'n ver land kom^f **42** (want hulle sal hoor van u groot naam^g en u magtige hand en u uitgestrekte arm) en wat in die rigting van hierdie huis bid, **43** mag u luister vanuit die hemel, u woonplek.^h En mag u alles doen wat die uitlander u vra, sodat al die volke van die aarde u naam kan ken en u kan vrees,ⁱ net soos u volk Israel, en sodat hulle kan weet dat u naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het.

44 "As u u volk stuur om oorlog te maak teen hulle vyande, waar dit ook al mag wees,^j en hulle tot Jehovah bid^k in die rigting van die stad wat u uitgekies het^l en in die rigting van die huis wat ek vir u naam gebou het,^m **45** moet u asseblief hulle gebed en hulle versoek om genade vanuit die hemel hoor en hulle help.

46 "As hulle teen u sondig (want daar is geen mens wat nie sondig nie),ⁿ en u vir hulle woedend is en hulle aan hulle vyande oorlewer, en as hulle vyande hulle as gevangenes wegneem na die land van hulle vyande, hetsy ver of naby,^o

HFST. 8

- a Spr 14:10
 b Jes 63:15
 c Ps 130:4
 d Job 34:11
 Ps 18:20
 e 1Sa 16:7
 1Kr 28:9
 Jer 17:10
 f Nu 9:14
 Rut 1:16
 2Kn 5:15
 2Kr 6:32, 33
 Jes 56:6, 7
 Han 8:27
 g Ne 9:10
 h Ps 11:4
 i Ps 67:2
 Ps 102:15
 j Eks 23:31
 1Kn 20:13
 k 2Kr 14:11
 2Kr 20:5, 6
 l Ps 78:68
 Ps 132:13
 m 2Kr 6:34, 35
 n Ps 51:5
 Ps 130:3
 Pr 7:20
 Ro 3:23
 1Jo 1:8
 o De 28:15, 36
 2Kn 17:6
 2Kn 25:21
 2Kr 6:36-39

Tweede kol.

- a Le 26:40
 b De 30:1, 2
 c De 4:27, 29
 2Kr 33:12, 13
 d Ne 1:6
 Ps 106:6
 Spr 28:13
 Da 9:5
 e 1Sa 7:3
 f Da 6:10
 g Jes 63:15
 h 2Kr 30:9
 Esr 7:28
 Ne 2:7, 8
 i Eks 19:5
 De 9:26
 j Eks 14:30
 k De 4:20
 l 2Kr 6:40
 m Ps 86:5
 Ps 145:18
 n Eks 19:6
 De 4:34
 De 32:9

47 en hulle dan tot besinning kom in die land waarheen hulle as gevangenes weggeneem is^a en hulle na u terugkeer^b en u om genade smeek in die land van hulle vyande^c en sê: 'Ons het gesondig en verkeerd gedoen, ons het goddeloos opgetree,^d **48** en hulle met hulle hele hart en hulle hele siel* na u terugkeer^e in die land van hulle vyande wat hulle as gevangenes weggeneem het, en hulle tot u bid in die rigting van hulle land wat u aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat u uitgekies het en die huis wat ek vir u naam gebou het,^f **49** moet u asseblief hulle gebed en hulle versoek om genade hoor vanuit die hemel, u woonplek,^g en hulle help **50** en u volk vergewe wat teen u gesondig het en al hulle oortredings teen u vergewe. U sal sorg dat dié wat hulle gevange geneem het, vir hulle jammer voel, en hulle sal vir hulle jammer voel^h **51** (want hulle is u volk en u erfdeel,ⁱ wat u uit Egipte uitgelei het,^j uit die smeltoond uit).^k

52 Mag u aandag skenk aan* die versoek om genade^l van u kneg en aan die versoek om genade van u volk Israel deur na hulle te luister wanneer hulle ook al tot u roep.^m **53** Want u het hulle afgesonder as u erfdeel uit al die volke van die aarde,ⁿ net soos u deur middel van u kneg Moses gesê het toe u ons voorvaders uit Egipte uitgelei het, o Soewereine Heer Jehovah."

54 En nadat Salomo hierdie hele gebed en versoek om genade tot Jehovah gerig het, het hy voor die altaar van Jehovah opgestaan, waar hy gekniel het met sy hande na die he-

8:48 *Sien Woordelys. **8:52** *Lett. "Mag u oë oop wees vir". #Of "ongegag wat hulle van u vra".

mel uitgestrek.^a **55** Terwyl hy gestaan het, het hy die hele gemeente van Israel met 'n harde stem geseën en gesê: **56** "Mag Jehovah gelooft word, wat aan sy volk Israel 'n rusplek gegee het, net soos hy belowe het.^b Nie een woord van al sy goeie beloftes wat hy deur middel van sy kneg Moses gemaak het, het onvervuld gebly nie.^c **57** Mag Jehovah ons God met ons wees net soos hy met ons voorvaders was.^d Mag hy ons nie verlaat of in die steek laat nie.^e **58** Mag hy ons die begeerte gee om sy weë te volg^f en om sy gebooië, sy wetsvoorskrifte en sy oordele te gehoorsaam, wat hy ons voorvaders beveel het om te onderhou. **59** En mag hierdie woorde waarmee ek Jehovah om goedkeuring gesmeek het, dag en nag naby Jehovah ons God wees, sodat hy goed sal doen aan sy kneg en aan sy volk Israel volgens wat elke dag nodig is, **60** sodat al die volke van die aarde kan weet dat Jehovah die ware God is.^g Daar is geen ander nie!^h **61** Julle moet Jehovah ons God met julle hele hart dienⁱ en sy wetsvoorskrifte volg en sy gebooië onderhou, soos vandag die geval is."

62 Die koning en die hele Israel het 'n groot offerande aan Jehovah gebring.^j **63** Salomo het die vrede-offers^{*k} vir Jehovah geoffer: Hy het 22 000 bees- te en 120 000 skape geoffer. So het die koning en al die Israëliete die huis van Jehovah ingewy.^l **64** Op daardie dag moes die koning die middel van die voorhof heilig wat voor die huis van Jehovah is omdat hy die brandoffers en die graanoffers en die vetstukke van die vrede-offers^{*} daar moes offer. Want die koper-

8:63, 64 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 8

- a 2Kr 6:12, 13
b 1Kn 4:24, 25
c De 10:11
Jos 21:45
d De 31:6
Jos 1:5
2Kr 32:7
Ps 46:7
e Jes 41:10
Heb 13:5
f Ps 86:11
Ps 119:36
2Te 3:5
g Jos 4:24
1Sa 17:46
Ese 36:23
Ese 39:7
h De 4:35, 39
Jes 44:6
i De 18:13
2Kn 20:3
1Kr 28:9
Mt 22:37
j 2Kr 7:4, 5
k Le 3:1
l Esr 6:16
Ne 12:27

Tweede kol.

- a 2Kr 4:1
b Le 3:16
c Le 23:34
d Ge 15:18
Nu 34:5, 8
e Ps 31:19
Jes 63:7
Jer 31:12

HFST. 9

- f 2Kr 8:1
Pr 2:4
g 2Kr 7:11
h 1Kn 3:5
i De 12:5, 6
1Kn 8:28, 29
j 2Kr 6:40
2Kr 16:9
Ps 132:13
k Ps 78:70, 72
l 1Kr 29:17
m 1Kn 3:6
n Pr 12:13
o 2Kr 7:17, 18
p 2Sa 7:16, 17
1Kn 2:4
Ps 89:20, 29

altaar^a wat voor Jehovah is, was te klein vir die brandoffers, die graanoffers en die vetstukke^b van die vrede-offers.^{*} **65** Toe het Salomo die fees^c voor Jehovah ons God gevier saam met die hele Israel - 'n groot skare het gekom uit die gebied wat gestrek het van Lebo-Hamat^{*} af tot by die Vallei[#] van Egipte.^d Dit het 7 dae en nog 7 dae geduur, altesaam 14 dae. **66** Die volgende^{*} dag het hy die volk weggestuur, en hulle het die koning geseën en na hulle huise toe gegaan, vreugdevol en vrolik van hart as gevolg van al Jehovah se goedheid^e teenoor sy kneg Dawid en sy volk Israel.

9 Nadat Salomo die huis van Jehovah gebou het, sowel as die paleis van die koning^f en alles wat Salomo wou bou,^g **2** het Jehovah 'n tweede keer aan Salomo verskyn, net soos hy in Gi'beon aan hom verskyn het.^h **3** Jehovah het vir hom gesê: "Ek het jou gebed en jou versoek om goedkeuring gehoor wat jy tot my gerig het. Ek het hierdie huis wat jy gebou het, geheilig deur my naam vir altyd daar te vestig,ⁱ en my oë en my hart sal altyd daar wees.^j **4** En as jy my met opregtheid^{*} van hart dien^k en reg lewe,^l net soos jou pa, Dawid,^m deur alles te doen wat ek jou beveel het,ⁿ en as jy my wetsvoorskrifte en my oordele gehoorsaam,^o **5** dan sal ek die troon van jou koninkryk vir ewig oor Israel vestig, net soos ek jou pa, Dawid, belowe het toe ek gesê het: 'Daar sal altyd 'n man van jou geslagslyn wees wat op die troon van Israel sit.'^p **6** Maar

8:65 *Of "die ingang van Hamat".
#Of "Wadi". Sien Woordelys. 8:66
*Lett. "agtste", d.w.s. die dag ná die tweede tydperk van sewe dae. 9:4
*Of "integriteit". Sien Woordelys.

as jy en jou seuns ophou om my te volg en nie my gebooië en my wetsbepalings gehoorsaam wat ek aan julle gegee het nie en as julle ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig,^a **7** dan sal ek Israel verdryf uit die land wat ek aan hulle gegee het,^b en ek sal die huis verwerp^c wat ek vir my naam geheilig het, en Israel sal iets word waarop al die volke neersien* en waarmee hulle spot.^d **8** En hierdie huis sal verwoes word.^e Elkeen wat daar verbygaan, sal verbaas wees en sal fluit en vra: 'Hoe kom het Jehovah dit aan hierdie land en hierdie huis gedoen?'^f **9** Dan sal hulle sê: 'Dit is omdat hulle Jehovah hulle God verlaat het, wat hulle voorvaders uit Egipte uitgelei het, en omdat hulle ander gode gekies en voor hulle neergebuig en hulle gedien het. Dit is hoekom Jehovah al hierdie rampspoed oor hulle gebring het.'"^g

10 Salomo het die twee huise, die huis van Jehovah en die paleis van die koning, binne 20 jaar gebou.^h **11** Hiram,ⁱ die koning van Tirus, het vir Salomo sederhout gegee, sowel as jenerwouhout en soveel goud as wat hy wou hê.^j Daarna het koning Salomo vir Hiram 20 stede in die land Galile'a gegee. **12** Hiram het dus uit Tirus vertrek om te gaan kyk hoe die stede lyk wat Salomo hom gegee het, maar hy was nie tevrede met hulle nie. **13** Hy het gevra: "Watter soort stede is dit wat jy my gegee het, my broer?" En daarom word dit tot vandag toe die land Kabul* genoem. **14** Intussen het Hiram 120 talente* goud aan die koning gestuur.^k

9:7 *Lett. "sal 'n spreekwoord onder al die volke word". 9:13 *Of moontlik "die nikswerd land". 9:14 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 9

- a 1Kn 11:4
2Kr 7:19-22
b Le 18:28
De 4:26
2Sa 7:14
2Kn 17:22, 23
Ps 89:30-32
c 2Kn 25:9, 10
2Kr 15:2
d De 28:37
Ps 44:14
e 2Kr 36:19
Jes 64:11
f De 29:24, 25
Jer 22:8, 9
g De 28:64
Jer 5:19
Jer 12:7
h 1Kn 6:37-7:1
2Kr 8:1, 2
i 1Kn 5:1, 7
j 1Kn 5:8
k 1Kn 10:21

Tweede kol.

- a 1Kn 4:6
1Kn 5:13
b 1Kn 6:37
c 2Sa 5:9
1Kn 11:27
2Kn 12:20
d Jos 19:32, 36
e Jos 17:11
Rig 5:19
2Kn 9:27
f Rig 1:29
g Jos 16:10
h 1Kn 3:1
i Jos 16:1, 3
2Kr 8:4-6
j Jos 19:44, 48
k 1Kn 4:26
l Nu 13:29
De 7:1
Rig 1:21
m 2Kr 8:7-10
n Ge 9:25
o Le 25:39

15 Dit is die verslag oor die mense wat koning Salomo opgeroep het om vir hom te werk^a om die huis van Jehovah te bou,^b sowel as sy paleis, die Wal,^{*c} die muur van Jerusalem, Hasor,^d Megid'do^e en Geser.^f **16** (Farao, die koning van Egipte, het Geser ingeneem en dit met vuur verbrand, en hy het ook die Kanaäniete doodgemaak^g wat in die stad gewoon het. Toe het hy dit as 'n afskeidsgeskenk* aan sy dogter,^h die vrou van Salomo, gegee.) **17** Salomo het Geser en Onder-Bet-Horonⁱ opgebou.* **18** Hy het ook Ba'älät^j opgebou, en Tamar, wat in die wildernis in die land is, **19** sowel as al Salomo se voorraadstede, die stede vir die strydwaens^k en die stede vir die perderuiters. Salomo het al die bouwerk voltooi wat hy in Jerusalem, in die Li'banon en in die hele land waaroor hy regeer het, wou doen. **20** Wat al die mense betref wat oorgebly het van die Amoriëte, die Hettiete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete,^l wat nie deel was van Israel nie^m **21** – dit wil sê die nakomelinge van hierdie volke wat in die land oorgebly het en wat die Israeliete nie kon vernietig nie – hulle is deur Salomo opgeroep om vir hom as slawe te werk, tot vandag toe.ⁿ **22** Maar Salomo het die Israeliete nie slawe gemaak nie,^o want hulle was sy vegters, knegte, hoë amptenare, offisiere en hoofde van sy strydwadrywers en perderuiters. **23** Daar was 550 hoofde oor die beampptes wat toesig gehou het oor die werk van Salomo. Hulle was die

9:15 *Of "Millo". 'n Hebreeuse woord wat "opvulling" beteken. 9:16 *Of "trougeskenk; bruidskat". 9:17 *Of "versterk".

voormanne oor die mense wat die werk gedoen het.^a

24 Faraó se dogter^b het uit die Stad van Dawid^c gegaan na haar huis wat Salomo vir haar gebou het, en daarna het hy die Wal^{*d} gebou.

25 Salomo het drie keer per jaar^e brandoffers en vredeoffers^{*} geoffer op die altaar wat hy vir Jehovah gebou het,^f en hy het ook offerrook op die altaar voor Jehovah laat opgaan. En hy het die huis voltooi.^g

26 Koning Salomo het ook 'n vloot skepe gebou in E'se-on-Ge'ber,^h wat by Elot is, aan die kus van die Rooisee in die land Edom.ⁱ **27** Hiram het sy eie knegte, ervare seemane, op die vloot skepe gestuur^j om saam met die knegte van Salomo te dien. **28** Hulle het na Ofir^k gegaan en 420 talente goud daar gaan haal en dit na koning Salomo toe gebring.

10 Die koningin van Skeba het gehoor van Salomo se roem, wat die naam van Jehovah verheerlik het,^l en daarom het sy gegaan om hom met moeilike vrae^{*} te toets.^m **2** Sy het in Jerusalem aangekom met 'n groot groep dienaarsⁿ en met kamele wat balsemolie^o en baie goud en edelstene dra. Sy het na Salomo toe gegaan en hom gevra oor alles wat sy wou weet. **3** Salomo het toe al haar vrae beantwoord. Daar was niks wat vir die koning te moeilik was^{*} en wat hy nie aan haar kon verduidelik nie.

4 Toe die koningin van Skeba sien hoe wys Salomo is^p en toe sy die huis sien wat hy gebou het,^q **5** sowel as die kos van sy tafel,^r hoe sy knegte aan

9:24 *Of "Millo". 'n Hebreeuse woord wat "opvulling" beteken. 9:25 *Of "gemeenskapsoffers". 10:1 *Of "met raaisels". 10:3 *Lett. "verborge was".

HFST. 9

a 1Kn 5:16
2Kr 2:18

b 1Kn 3:1
1Kn 7:8
2Kr 8:11

c 2Sa 5:9

d 1Kn 9:15

e Eks 23:14

f 2Kr 8:12, 13

g 2Kr 8:16

h De 2:8

i 2Kr 8:17, 18

j 1Kn 5:12

k Ge 10:29
1Kr 29:3, 4
Ps 45:9

HFST. 10

l 1Kn 4:29

m 2Kr 9:1, 2
Mt 12:42

n Ps 72:10

o Eks 25:3, 6
2Kn 20:13

p 1Kn 3:28
Pr 12:9

q 2Kr 9:3-8

r 1Kn 4:22

Tweede kol.

a Spr 8:34

b 1Kn 5:7

c Ge 43:11

d Ps 72:10

e 1Kn 9:27, 28
Ps 45:9

f 2Kr 2:8

g 2Kr 9:10, 11

h 2Kr 5:12
Ps 150:3

tafel gesit het, die bediening en kleredrag van sy tafelbedieners, sy skinkers en die brandoffers wat hy gereed by die huis van Jehovah geoffer het, het dit haar asem weggeslaan.* **6** Sy het toe vir die koning gesê: "Die berig wat ek in my land oor u prestasies^{*} en oor u wysheid gehoor het, is waar. **7** Maar ek het nie die berigte geglo totdat ek gekom het en alles met my eie oë gesien het nie. En hulle het my nie eers die helfte vertel nie! U wysheid en voorspoed het die berig wat ek gehoor het, ver oortref. **8** Gelukkig is u manne en gelukkig is u knegte wat heelyd voor u staan en na u wysheid luister!^a **9** Mag Jehovah u God geloof word,^b wat lief is vir u en u op die troon van Israel geplaas het. As gevolg van Jehovah se ewige liefde vir Israel het hy u as koning aangestel om met regverdigheid te oordeel."

10 Toe het sy vir die koning 120 talente^{*} goud en baie balsemolie^c en edelstene^d gegee. Nooit weer is daar soveel balsemolie gebring as wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het nie.

11 Hiram se vloot skepe wat goud uit Ofir^e gebring het, het ook baie sandelhout^f sowel as edelstene^g uit Ofir gebring. **12** Van die sandelhout het die koning stutte vir die huis van Jehovah en vir die koning se paleis gemaak, sowel as harpe en ander snaarinstrumente vir die sangers.^h Soveel sandelhout is tot vandag toe nooit weer gebring of gesien nie.

13 En koning Salomo het vir die koningin van Skeba alles

10:5 *Lett. "was daar nie meer gees in haar nie". 10:6 *Of "woorde". 10:10 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

gegee wat sy wou hê en waarvoor sy gevra het, buiten wat hy haar uit sy eie vrygewigheid gegee het. Toe het sy saam met haar knegte na haar land teruggegaan.^a

14 Salomo se jaarlikse inkomste was 666 talente goud,^b **15** buiten wat hy van die koopmanne, die handelaars, al die konings van die Arabiere en die goewerneurs van die land ontvang het.

16 Koning Salomo het 200 groot skilde van goud*^c gemaak (elke skild is met 600 sikkels[#] goud bedek),^d **17** asook 300 klein skilde[#] van goud* (elke klein skild is met drie minas^Δ goud bedek). Toe het die koning dit in die Huis van die Li'banonwoud^e gesit.

18 Die koning het ook 'n groot ivoortroon^f gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.^g

19 Daar was ses trappe na die troon toe, en die troon het 'n ronde dakkie gehad. En daar was armleunings aan albei kante van die sitplek, en twee leeus^h het langs die armleunings gestaan. **20** En 12 leeus het op die ses trappe gestaan, een aan elke kant van die ses trappe. Geen ander koninkryk het so iets gehad nie.

21 Al die drinkhouers van koning Salomo was van goud, en al die voorwerpe van die Huis van die Li'banonwoudⁱ was van suiwer goud. Niks was van silwer gemaak nie. In Salomo se tyd is silwer as niks beskou nie,^j **22** want die koning het 'n vloot

10:16, 17 *Goud wat met 'n ander metaal gemeng is. **10:16** [#]'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanb. B14. **10:17** [#]Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. ^Δ'n Mina in die Hebreeuse Geskrifte was gelyk aan 570 g. Sien Aanb. B14.

HFST. 10

a 2Kr 9:12

b 2Kr 9:13, 14

c 1Kn 14:25, 26

d 2Kr 9:15, 16

e 1Kn 7:2

f Ps 122:2, 5

g 2Kr 9:17-19

h Ge 49:9

Nu 23:24

Nu 24:9

i 1Kn 7:2

j 2Kr 9:20, 21

Tweede kol.

a Ge 10:4

Ps 72:10

Ese 27:12

Jon 1:3

b 1Kn 10:18

c Pr 5:19

d 1Kn 3:12, 13

1Kn 4:29

2Kr 9:22-24

e Spr 2:6

f De 17:15, 16

1Kn 4:26

g 2Kr 1:14

2Kr 9:25

h 2Kr 1:15

2Kr 9:27

i 2Kr 1:16, 17

2Kr 9:28

j Jos 1:4

HFST. 11

k 1Kn 3:1

l De 17:15, 17

Ne 13:26

m Ge 19:36, 37

Tarsis-skepe^a op die see gehad saam met Hiram se vloot skepe, en die vloot Tarsis-skepe het elke drie jaar teruggekeer, ge-lai met goud en silwer, ivoor,^b ape en poue.

23 Koning Salomo was ryker^c en wyser^d as al die ander konings van die aarde. **24** En mense van regoor die aarde wou Salomo besoek om die wysheid te hoor wat God in sy hart geplaas het.^e **25** Hulle het elkeen 'n geskenk gebring – silwervoorwerpe, goue voorwerpe, klere, wapens, balsemolie, perde en muile. Dit het jaar ná jaar gebeur.

26 En Salomo het al hoe meer strydwaens en perde* vir hom gekry. Hy het 1400 strydwaens en 12 000 perde* gehad,^f en hy het hulle in die strydwa-stede en naby die koning in Jerusalem gehou.^g

27 Die koning het die silwer in Jerusalem so volop soos die klippe gemaak, en sederhout so volop soos die wildevyebome in die Sjefe'la.^h

28 Salomo se perde is uit Egipte ingevoer, en die koning se groep koopmanne het trope perde gekoop* teen 'n vasgestelde prys.ⁱ **29** Elke strydwa wat uit Egipte ingevoer is, het 600 silwerstukke gekos, en 'n perd het 150 gekos. En hulle het die strydwaens en die perde uitgevoer na al die konings van die Hetiete^j en die konings van Sirië.

11 Maar koning Salomo het buiten die dogter van Farao^k baie uitlandse vrouens^l liefgehad: Moabitiese,^m Ammo-

10:26 *Of "perderuiters". **10:28** *Of moontlik "uit Egipte en uit Kewé ingevoer; die koning se koopmanne het hulle in Kewé gekoop", wat moontlik na Silië verwys.

nitiese,^a Edomitiese, Sidoniese^b en Hetitiese^c vrouens. **2** Hulle was van die nasies waarvan Jehovah vir die Israëliete gesê het: "Julle mag nie met hulle meng nie,* want hulle sal vir seker julle hart beïnvloed om hulle gode te volg."^d Maar Salomo het hulle aangekleef en liefgehad. **3** Hy het 700 vrouens gehad wat prinsesse was en 300 byvrouens, en sy vrouens het sy hart geleidelik beïnvloed.* **4** Op Salomo se oudag^e het sy vrouens sy hart beïnvloed* om ander gode te volg,^f en hy het Jehovah sy God nie met sy hele hart gedien soos sy pa, Dawid, nie. **5** Salomo het Asto'ret,^g die godin van die Sidoniërs, en Milkom,^h die walglike god van die Ammoniete, gevolg. **6** En Salomo het gedoen wat sleg was in die oë van Jehovah, en hy het Jehovah nie ten volle gevolg soos sy pa, Dawid, nie.ⁱ

7 Toe het Salomo op die berg voor Jerusalem 'n offerhoogte/gebou vir Kamos, die walglike god van Moab, en vir Molog,^k die walglike god van die Ammoniete.^l **8** Dit is wat hy gedoen het vir al sy uitlandse vrouens wat vir hulle gode offerrook laat opgaan het en offerandes aan hulle geoffer het.

9 Jehovah het woedend geword vir Salomo omdat hy ontrou geword het aan* Jehovah, die God van Israel,^m wat twee keer aan hom verskyn het.ⁿ **10** En wat hom gewaarsku het dat hy nie ander gode moet volg nie.^o Maar hy was nie gehoorsaam aan Jehovah se bevel nie. **11** Jehovah het toe vir Salomo gesê: "Omdat jy dít gedoen het

11:2 *Of "met hulle ondertrou nie".
11:3 *Of "sy vrouens het 'n kragtige invloed op hom gehad".
11:4 *Of "weggedraai".
11:9 *Of "sy hart afgewyk het van".

HFST. 11

a 1Kn 14:21

b 1Kn 16:30, 31

c Ge 26:34, 35

d Eks 34:16

De 7:3

Jos 23:12, 13

2Kor 6:14

e 1Kn 11:42

f De 7:3, 4

Ne 13:26

g Rig 2:11, 13

Rig 10:6

1Sa 7:3

h Sef 1:5

i 1Kn 15:5

j Le 26:30

Nu 33:52

2Kn 21:1, 3

k Le 18:21

Han 7:43

l 2Kn 23:13

m De 7:3, 4

Spr 4:23

n 1Kn 3:5

1Kn 9:2

o 2Kr 7:19, 20

Tweede kol.

a 2Kn 17:21

b 2Kr 10:18, 19

c 2Sa 7:12, 15

d 1Kn 12:20

2Kr 11:1

e De 12:11

f 2Sa 7:12, 14

g Ge 27:40

h 2Sa 8:13

i Nu 10:12

en jy nie gebly het by my verbond en my wetsbepalings wat ek jou gegee het nie, sal ek vir seker die koninkryk van jou af wegskeur, en ek sal dit aan een van jou knegte gee.^a **12** Maar ter wille van jou pa, Dawid, sal ek dit nie in jou leeftyd doen nie. Ek sal dit uit die hand van jou seun wegskeur,^b **13** maar ek sal nie die hele koninkryk wegskeur nie.^c Ek sal een stam aan jou seun gee,^d ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem, wat ek uitgekiek het."^e

14 Jehovah het toe 'n teenstander teen Salomo laat ontstaan,^f naamlik Hadad, die Edomiet, van die koninklike familie van Edom.^g **15** Toe Dawid Edom verslaan het,^h het Joab, die hoof van die leërmag, die mense gaan begrawe wat doodgemaak is, en hy het almal wat manlik is in Edom, probeer doodmaak. **16** (Want Joab en die hele Israel het ses maande lank daar gebly totdat hy almal wat manlik is in Edom, doodgemaak het.) **17** Maar Hadad het saam met 'n paar van sy pa se Edomitiese knegte gevlug, en hulle het na Egipte gegaan. Hadad was toe 'n jong seun. **18** Hulle het dus uit Mi'dian vertrek en in Paran aangekom. Hulle het manne van Paranⁱ saam met hulle geneem en na Egipte gegaan. Hulle het by Farao, die koning van Egipte, aangekom, wat hom 'n huis, 'n kostoelaag en grond gegee het. **19** Farao het so baie van Hadad gehou dat hy hom laat trou het met die suster van sy eie vrou, koningin* Tag'penes. **20** Ná verloop van tyd het die suster van Tag'penes aan 'n seun, Genu'bat, geboorte gegee, en Tag'penes het hom in die

11:19 *Nie 'n koningin wat regeer nie.

huis van Faraó grootgemaak,* en Genu'bat het in die huis van Faraó gebly, tussen die kinders van Faraó.

21 Hadad het in Egipte gehoor dat Dawid gesterf het*^a en dat Joab, die hoof van die leërmag, ook gesterf het.^b Toe het Hadad vir Faraó gesê: "Laat my na my eie land gaan." **22** Maar Faraó het vir hom gevra: "Wat het jy kortgekom terwyl jy by my was dat jy nou na jou eie land wil gaan?" Toe het hy gesê: "Niks nie, maar laat my asseblief gaan."

23 God het nog 'n teenstander teen Salomo laat opstaan,^c naamlik Reson, die seun van Elja'da, wat vir sy heer Hadade'ser,^d die koning van Soba, gevlug het. **24** Toe Dawid die manne van Soba verslaan* het,^e het Reson vir hom manne bymeekaargemaak en die leier van 'n rowerbende geword. Hulle het toe na Damaskus^f gegaan en daar gaan woon en in Damaskus begin regeer. **25** En hy was 'n teenstander van Israel so lank as wat Salomo gelewe het, en net soos Hadad het hy baie probleme veroorsaak, en hy het Israel gehaat terwyl hy oor Sirië regeer het.

26 Dan was daar Jero'beam,^g die seun van Nebat, 'n Efraimiet uit Sere'da. Hy was 'n kneg van Salomo,^h en sy ma se naam was Seru'a, en sy was 'n weduwee. Hy het ook teen die koning in opstand gekom.*ⁱ **27** Hy het teen koning Salomo in opstand gekom omdat Salomo die Wal^j gebou het en die Stad van Dawid, sy pa,^k versterk het.

11:20 *Of moontlik "gespeen". **11:21** *Lett. "by sy vaders neergelê is". **11:24** *Lett. "hulle doodgemaak". **11:26** *Lett. "sy hand gelig". **11:27** *Of "Millo". 'n Hebreeuse woord wat "opvulling" beteken.

HFST. 11

a 1Kn 2:10

b 1Kn 2:34

c 1Kn 11:14

d 2Sa 8:3

e 2Sa 10:18

f 2Sa 8:5
1Kn 19:15
Jes 7:8g 1Kn 11:31
1Kn 12:32
1Kn 14:10
2Kr 11:14
2Kr 13:3, 20

h 1Kn 9:22

i 2Kr 13:6

j 1Kn 9:15, 24

k 2Sa 5:7

Tweede kol.

a 1Kn 5:16

b 1Kn 12:15
1Kn 14:2
2Kr 9:29

c 1Kn 12:16

d 1Kn 12:20
2Kr 11:1

e Ge 49:10

f De 12:5, 6
1Kn 11:13
Ps 132:13g De 28:15
2Kr 15:2h 1Kn 9:4, 5
Ps 89:49
Ps 132:17
Jes 9:7i 1Kn 12:20
2Kr 10:16j 2Sa 7:29
1Kn 15:4
2Kn 8:19

28 Jero'beam was 'n bekwame man. Toe Salomo sien dat die jong man 'n harde werker is, het hy hom opsieners gemaak^a oor al die opgeroepde werkers uit die huis van Josef. **29** Op 'n dag het Jero'beam uit Jerusalem gegaan, en die profeet Ahi'a,^b die Siloniet, het hom op die pad gekry. Ahi'a het 'n nuwe kleed aangehad, en hulle twee was alleen in die veld. **30** Ahi'a het die nuwe kleed wat hy aangehad het, geneem en dit in 12 stukke geskeur. **31** Toe het hy vir Jero'beam gesê:

"Neem vir jou tien stukke, want dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek skeur die koninkryk uit die hand van Salomo, en ek sal vir jou tien stamme gee.'^c **32** Maar een stam sal syne bly^d ter wille van my kneg Dawid^e en ter wille van Jerusalem, die stad wat ek uit al die stamme van Israel uitgekies het.'^f **33** Ek sal dit doen omdat hulle my verlaat het^g en omdat hulle neerbuig voor Astoret, die godin van die Sidoniërs, voor Kamos, die god van Moab, en voor Milkom, die god van die Ammoniete, en omdat hulle nie my weë gevolg het deur te doen wat reg is in my oë en deur my wetsbepalings en my oordele te gehoorsaam soos Salomo se pa, Dawid, nie. **34** Maar ek sal nie die hele koninkryk uit sy hand neem nie, en ek sal hom 'n hoofman laat bly so lank as wat hy lewe, ter wille van my kneg Dawid wat ek gekies het^h omdat hy my gebooie en my wetsbepalings gehoorsaam het. **35** Maar ek sal die koningskap uit die hand van sy seun neem en tien stamme aan jou gee.'ⁱ **36** Ek sal een stam aan sy seun gee, sodat my kneg Dawid altyd 'n lamp voor my kan hê in Jerusalem,^j die stad wat ek vir my uitgekies het om my naam

daar te vestig. **37** Ek sal jou laat regeer oor alles wat jy bekeer, en jy sal koning oor Israel word. **38** En as jy alles gehoorsaam wat ek jou beveel en my weë volg en doen wat reg is in my oë deur my wetsbepalings en my gebooie te gehoorsaam, net soos my kneg Dawid gedoen het,^a dan sal ek ook met jou wees. Ek sal 'n blywendende koningshuis aan jou gee, net soos ek aan Dawid gegee het,^b en ek sal Israel aan jou gee. **39** En ek sal die nageslag van Dawid om hierdie rede verneider,^c maar nie vir altyd nie.”^d

40 Salomo het Jero'beam toe probeer doodmaak, maar Jero'beam het na Egipte gevlug, na Sisak,^e die koning van Egipte,^f en hy het tot Salomo se dood in Egipte gebly.

41 Wat die res van die geskiedenis van Salomo betref, alles wat hy gedoen het en sy wysheid, dit is opgeteken in die boek met die geskiedenis van Salomo.^g **42** Salomo het 40 jaar lank in Jerusalem oor die hele Israel regeer. **43** Toe het Salomo gesterf,^h en hy is begrawe in die Stad van Dawid, sy pa. En sy seun Reha'beamⁱ het in sy plek koning geword.

12 Reha'beam het na Sigem gegaan, want die hele Israel het in Sigem bymekaargekom^j om hom koning te maak.^k **2** Jero'beam, die seun van Nebat, het daarvan gehoor (hy was nog in Egipte, want hy het vir koning Salomo gevlug en het in Egipte gewoon).^k **3** Toe het hulle hom laat roep. Daarna het Jero'beam en die hele gemeente van Israel na Reha'beam gegaan en gesê: **4** “U pa het ons juk swaar gemaak.^l Maar as u

11:43 *Lett. “is Salomo by sy vaders neergelê”.

HFST. 11

a 1Kn 15:5

b 2Sa 7:11

c 1Kn 12:16

d Ge 49:10
Jes 11:1
Lu 1:32, 33

e 1Kn 14:25

f 2Kr 10:2

g 2Kr 9:29-31

h 1Kr 3:10
2Kr 13:7
Mt 1:7

HFST. 12

i Ge 12:6
Jos 20:7, 9
Rig 9:1, 2
Han 7:15, 16

j 2Kr 10:1-4

k 1Kn 11:26, 40

l 1Sa 8:11-18
1Kn 4:7

Tweede kol.

a 2Kr 10:5-7

b 2Kr 10:8-11

c 2Kr 10:12-15

die swaar werklas van u pa en die swaar* juk wat hy op ons geplaas het, ligter maak, sal ons u dien.”

5 Hy het toe vir hulle gesê: “Kom oor drie dae na my toe terug.” Toe het die volk van hom af weggegaan.^a **6** Koning Reha'beam het die ouer mans* wat sy pa, Salomo, gedurende sy leeftyd gedien het, geraadpleeg en vir hulle gevra: “Wat sal julle sê? Hoe moet ek hierdie volk antwoord?” **7** Hulle het hom geantwoord: “As u vandag 'n kneg van hierdie volk word en doen wat hulle vra en vir hulle die antwoord gee wat hulle wil hê, sal hulle altyd u knegte wees.”

8 Maar hy het die raad van die ouer mans* verwerp, en hy het die jong mans geraadpleeg wat saam met hom grootgeword het en wat nou sy dienaars was.^b

9 Hy het vir hulle gevra: “Wat sal julle sê? Hoe moet ons hierdie volk antwoord wat vir my gesê het dat ek die juk wat my pa op hulle geplaas het, ligter moet maak?” **10** Die jong mans wat saam met hom grootgeword het, het vir hom gesê: “Vir hierdie volk wat vir u gesê het: ‘U pa het ons juk swaar gemaak, maar u moet dit vir ons ligter maak,’ moet u die volgende sê: ‘My pinkie sal dikker as my pa se heupe wees. **11** My pa het 'n swaar juk op julle geplaas, maar ek sal julle juk nog swaarder maak. My pa het julle met die sweep gestraf, maar ek sal julle met die gesel* straf.’”

12 Jero'beam en die hele volk het op die derde dag na Reha'beam toe gegaan, want die koning het gesê: “Kom oor drie dae na my toe terug.”^c

12:4 *Of “onderdrukkende”. **12:6, 8** *Of “die ouermanne”. **12:11** *Sien Woordelys.

13 Maar die koning het die volk 'n harde antwoord gegee en het die raad verwerp wat die ouer mans* hom gegee het. **14** Hy het die raad van die jong mans gevolg en vir die volk gesê: "My pa het julle juk swaar gemaak, maar ek sal julle juk nog swaarder maak. My pa het julle met die sweep gestraf, maar ek sal julle met die gësel* straf." **15** Die koning het nie na die volk geluister nie, want Jehovah het dinge so laat verloop.^a Dit was sodat die woorde vervul kon word wat Jehovah deur middel van Ahi'a,^b die Siloniet, vir Jero'beam, die seun van Nebat, gesê het.

16 Toe al die Israëliete sien dat die koning nie na hulle geluister het nie, het hulle vir die koning gesê: "Wat het ons met Dawid te doen? Ons het geen erfdeel saam met die seun van Isai nie. Gaan na julle gode toe, o Israel. Sorg nou vir jou eie huis, o Dawid!" Toe het die Israëliete na hulle huise* gegaan.^c **17** Maar Reha'beam het nog steeds oor die Israëliete reger wat in die stede van Juda gewoon het.^d

18 Koning Reha'beam het Ado'ram,^e wat oor die mense was wat opgeroep is om vir die koning te werk, toe na die Israëliete gestuur, maar hulle het hom met klippe doodgegooi. Koning Reha'beam het net betyds op sy strydwa geklim om na Jerusalem te vlug.^f **19** En die Israëliete het met hulle opstand^g teen die huis van Dawid volgehou tot vandag toe.

20 Toe Israel hoor dat Jero'beam teruggekeer het, het hulle bymekaargekom en hom laat

12:13 *Of "die ouermanne". **12:14** *Sien Woordelys. **12:16** *Lett. "ten-te".

HFST. 12

a De 2:30
2Kr 22:7
Ro 9:18

b 1Kn 11:31

c 2Kr 10:16, 17

d 1Kn 11:12, 13
2Kr 11:13, 16e 2Sa 20:24
1Kn 4:6
1Kn 5:13, 14

f 2Kr 10:18, 19

g 2Kn 17:21

Tweede kol.

a 1Kn 11:30, 31

b 1Kn 11:12, 13
Ho 11:12c 2Kr 11:1-4
2Kr 25:5

d 2Kr 12:5

e 1Kn 11:30, 31

f 1Kn 12:1

g Ge 32:30
Rig 8:13, 17

h 1Kn 11:38

i De 12:5, 6

j Eks 20:4
2Kn 10:29

roep en hom koning oor Israel gemaak.^a Net die stam van Juda het die huis van Dawid gevolg.^b

21 Toe Reha'beam in Jerusalem aankom, het hy onmiddellik die hele huis van Juda en die stam van Benjamin bymekaareroep – 180 000 opgeleide* soldate – om teen die huis van Israel te veg, sodat Reha'beam, die seun van Salomo, die koningskap kon terugkry.^c **22** Toe het die ware God vir Sema'ja,^d die man van die ware God, gesê: **23** "Sê vir Reha'beam, die seun van Salomo, die koning van Juda, en vir die hele huis van Juda en Benjamin en die res van die volk: **24** 'Dit is wat Jehovah sê: "Julle moenie teen julle Israëlitese broers gaan veg nie. Julle moet almal teruggaan huis toe, want ek het dit laat gebeur.'"^e Toe het hulle die woord van Jehovah gehoor – saam en huis toe gegaan, soos Jehovah vir hulle gesê het.

25 Daarna het Jero'beam in Sigem^f in die bergstreek van E'fraim gaan woon en dit opgebou.* Hy het daarvandaan weggetrek en Pnuel^g opgebou.*

26 Jero'beam het in sy hart gesê: "Nou sal die koninkryk na die huis van Dawid terugkeer.^h

27 As hierdie volk aanhou om op te gaan om by die huis van Jehovah in Jerusalem offerandes te offer,ⁱ sal die hart van hierdie volk terugkeer na hulle heer, koning Reha'beam van Juda. Ja, hulle sal my doodmaak en terugkeer na koning Reha'beam van Juda." **28** Nadat die koning by sy raadgevers raad gevra het, het hy twee goue kalwers^j gemaak en vir die volk gesê: "Dit is vir julle te veel om na Jerusalem op

12:21 *Lett. "uitgesoekte". **12:25** *Of "versterk".

te gaan. Hier is julle God, wat julle uit Egipte uitgelei het,^a o Israel.” **29** Toe het hy die een in Bet-El^b gesit, en die ander een in Dan.^c **30** En dit het die volk laat sondig.^d Hulle het selfs tot by Dan gegaan om die een wat daar was, te aanbid.

31 En hy het huise van aanbidding op die offerhoogtes gemaak en mense van die volk, wat nie Leviëte was nie, as priesters aangestel.^e **32** Jero'beam het 'n fees ingestel wat op die 15de dag van die agtste maand gehou is, en wat soortgelyk was aan die fees in Juda.^f Op die altaar wat hy in Bet-El^g gemaak het, het hy offers geoffer aan die kalwers wat hy gemaak het. En hy het priesters in Bet-El aangestel vir die offerhoogtes wat hy gemaak het. **33** En op die 15de dag van die agtste maand, in die maand wat hy self gekies het, het hy offers begin bring op die altaar wat hy in Bet-El gemaak het. En hy het 'n fees vir die Israeliete ingestel en na die altaar opgegaan om offerandes te offer en offerrook te laat opgaan.

13 Op Jehovah se bevel het 'n man van God^h van Juda af na Bet-El gegaan, en hy het daar aangekom terwyl Jero'beam by die altaarⁱ gestaan het om offerrook te laat opgaan. **2** Toe het hy op Jehovah se bevel teen die altaar uitgeroep: “O altaar, altaar! Dít is wat Jehovah sê: “n Seun met die naam Josi'a' sal vir die huis van Dawid gebore word! Hy sal die priesters van die offerhoogtes, wat offerrook op jou laat opgaan, op jou offer, en hy sal die beendere van mense op jou verbrand.”^k **3** Hy het op daardie dag 'n teken* gegee en gesê:

13:3, 5 *Of “voorteken”.

HFST. 12

a Eks 32:4, 8
2Kr 11:15, 16

b Ge 12:8, 9
Ge 28:19

c Ge 14:14
De 34:1
Rig 18:29
Rig 20:1

d 2Kn 10:31
2Kn 17:21-23

e Nu 3:10
1Kn 13:33
2Kr 11:14
2Kr 13:9

f Le 23:34

g Am 7:13

HFST. 13

h 2Kn 23:16, 17

i 1Kn 12:32
Am 3:14

j 2Kn 21:24
2Kn 22:1

k 2Kn 23:15, 16
2Kr 34:33

Tweede kol.

a 2Kr 16:10
Jer 20:2

b 2Kn 6:18

c Eks 10:16, 17
Nu 21:7
Jer 37:3
Han 8:24

“Dít is die teken* wat Jehovah aangekondig het: Die altaar sal uitmekargeskeur word, en die as* wat daarop is, sal daarvan afval.”

4 Toe koning Jero'beam hoor wat die man van die ware God oor die altaar in Bet-El sê, het hy sy hand van die altaar af uitgesteek en gesê: “Gryp hom!”^a Die hand wat hy uitgesteek het, het onmiddellik styf geword,* en hy kon dit nie terugtrek nie.^b **5** Toe is die altaar uitmekargeskeur, en die as het van die altaar afgeval, in ooreenstemming met die teken* wat die man van die ware God op Jehovah se bevel aangekondig het.

6 Die koning het toe vir die man van die ware God gesê: “Smeek Jehovah jou God asseblief om genade te betoon* en bid vir my sodat my hand herstel kan word.”^c Die man van die ware God het Jehovah toe om genade gesmeek, en die koning se hand is herstel. **7** Die koning het toe vir die man van die ware God gesê: “Kom saam met my huis toe en eet iets, en laat ek vir jou 'n geskenk gee.” **8** Maar die man van die ware God het vir die koning gesê: “Al sou u my die helfte van u huis gee, sou ek nie saam met u kom en kos* eet of water drink in hierdie plek nie. **9** Want ek het hierdie bevel van Jehovah ontvang: ‘Jy mag nie kos* eet of water drink nie, en jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gekom het nie.’” **10** Hy het dus met 'n ander pad teruggegaan. Hy het nie teruggegaan met die

13:3 *Of “vetterige as”, d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdrenk is. 13:4 *Of “lam geword; verdor”. 13:6 *Of “Versag asseblief die aangesig van Jehovah jou God”. 13:8, 9 *Lett. “brood”.

pad waarmee hy na Bet-El gekom het nie.

11 En daar was 'n ou profeet wat in Bet-El gewoon het. Sy seuns het huis toe gekom en hom alles vertel wat die man van die ware God daardie dag in Bet-El gedoen het en wat hy vir die koning gesê het. Nadat hulle hulle pa daarvan vertel het, **12** het hy vir hulle gevra: "Met watter pad het hy gegaan?" Toe het sy seuns vir hom die pad gewys waarmee die man van die ware God wat van Juda gekom het, teruggegaan het. **13** Hy het toe vir sy seuns gesê: "Saal die donkie vir my op." Hulle het die donkie vir hom opgesaal, en hy het daarop geklim.

14 Hy het agter die man van die ware God aangery en hom gevind waar hy onder 'n groot boom sit. Toe het hy vir hom gevra: "Is jy die man van die ware God wat van Juda gekom het?"^a Hy het geantwoord: "Ja, ek is." **15** Hy het vir hom gesê: "Kom saam met my huis toe en eet iets."* **16** Maar hy het gesê: "Ek kan nie saam met jou teruggaan of jou uitnodiging aanvaar nie, en ek mag ook nie in hierdie plek saam met jou kos* eet of water drink nie. **17** Want Jehovah het vir my gesê: 'Jy mag nie daar kos* eet of water drink nie. Jy mag nie teruggaan met die pad waarmee jy gekom het nie.'" **18** Toe het hy vir hom gesê: "Ek is ook 'n profeet soos jy, en Jehovah het vir my deur 'n engel gesê: 'Laat hom saam met jou huis toe gaan sodat hy kos* kan eet en water kan drink.'" (Hy het hom bedrieg.) **19** Hy het toe saam met hom huis toe gegaan om kos* te eet en water te drink.

20 Terwyl hulle aan tafel gesit het, het die profeet wat hom

13:15-19, 22 * Lett. "brood".

HFST. 13

a 1Kn 13:1

Tweede kol.

a 1Kn 13:30
2Kn 23:17, 18

b 2Sa 6:7
1Kn 20:35, 36
2Kn 17:25

c 1Kn 13:9

d 1Kn 13:21, 22

teruggebring het, 'n boodskap van Jehovah ontvang, **21** en hy het met 'n harde stem vir die man van die ware God wat van Juda gekom het, gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Omdat jy teen die bevel van Jehovah in opstand gekom het en nie die gebod gehoorsaam het wat Jehovah jou God vir jou gegee het nie, **22** maar teruggegaan het om kos* te eet en water te drink in die plek waarvan hy vir jou gesê het om nie kos* te eet of water te drink nie, sal jou lyk nie in die graf van jou voorvaders begrawe word nie.'"^a

23 Nadat die man van die ware God geëet en gedrink het, het die ou profeet die donkie opgesaal vir die profeet wat hy teruggebring het. **24** Toe het hy vertrek, maar 'n leeu het hom op die pad teëgekome en hom doodgemaak.^b Sy lyk het in die pad gelê, en die donkie het langs die lyk gestaan. Die leeu het ook langs die lyk gestaan. **25** Manne het verbygekome, en hulle het die lyk in die pad gesien, en die leeu wat langs die lyk staan. Hulle het in die stad ingekom waar die ou profeet gewoon het en die mense daarvan vertel.

26 Toe die profeet wat hom teruggebring het, daarvan hoor, het hy onmiddellik gesê: "Dit is die man van die ware God wat teen die bevel van Jehovah in opstand gekom het."^c Daarom het Jehovah hom aan die leeu oorgegee om hom te verskeur en dood te maak, net soos Jehovah vir hom gesê het."^d **27** Hy het toe vir sy seuns gesê: "Saal die donkie vir my op." En hulle het dit opgesaal. **28** Toe het hy vertrek en die lyk gevind wat in die pad gelê het, met die donkie en die leeu wat langs die lyk staan. Die leeu het nie die lyk

geëet nie en ook nie die donkie verskeur nie. **29** Die profeet het die lyk van die man van die ware God opgetel en op die donkie gesit en hom na die stad teruggebring om oor hom te rou en om hom te begrawe. **30** Toe het hy die lyk in sy eie graf neergelê, en hulle het oor hom bly uitroep: "Hoe verskriklik, my broer!" **31** Nadat hy hom begrawe het, het hy vir sy seuns gesê: "Wanneer ek sterf, moet julle my begrawe waar die man van die ware God begrawe is. Lê my beendere langs sy beendere neer.^a **32** Wat hy op Jehovah se bevel gesê het oor die altaar in Bet-El en oor al die huise van aanbidding op die offerhoogtes^b in die stede van Samari'a, sal vir seker vervul word."^c

33 Selfs nadat hierdie dinge gebeur het, het Jero'beam nie sy slegte weê gelos nie, maar hy het aangehou om uit die volk priesters vir die offerhoogtes aan te stel. Hy het sommer enigiemand as priester aangestel^d wat 'n priester wou wees, en gesê: "Laat hom een van die priesters vir die offerhoogtes^e word." **34** Hierdie sonde van die huis van Jero'beam^f het tot hulle vernietiging gelei, en hulle is van die oppervlak van die aarde af uitgeroei.^g

14 In daardie tyd het Abi'a, die seun van Jero'beam, siek geword. **2** Toe het Jero'beam vir sy vrou gesê: "Gaan vermom jou asseblief sodat hulle nie weet dat jy Jero'beam se vrou is nie, en gaan dan na Silo. Die profeet Ahi'a is daar. Hy is die een wat gesê het dat ek koning oor hierdie volk sal word."^h **3** Neem tien brode, sowel as platbrode en 'n fles heuning, en gaan na hom toe. Hy sal dan vir jou sê wat met die seun gaan gebeur."

HFST. 13

a 2Kn 23:17, 18

b Le 26:30
1Kn 12:29, 31

c 2Kn 23:15, 19

d 1Kn 12:25, 31

e 2Kr 11:14, 15

f 1Kn 16:30, 31
2Kn 3:1, 3
2Kn 10:31
2Kn 13:1, 2g 1Kn 14:10
1Kn 15:25-29
2Kn 17:22, 23

HFST. 14

h 1Kn 11:30, 31

Tweede kol.

a Jos 18:1
1Sa 4:3b 1Kn 11:30, 31
1Kn 12:20

c 1Kn 12:16

d 1Kn 15:5
Han 13:22e De 27:15
2Kr 11:15f Ne 9:26
Ps 50:17

g 1Kn 15:25-29

4 Jero'beam se vrou het gedoen wat hy gesê het. Sy het na Silo^a gegaan en by die huis van Ahi'a aangekom. Ahi'a kon nie meer sien nie. Hy was blind weens sy ouderdom.

5 Maar Jehovah het vir Ahi'a gesê: "Die vrou van Jero'beam is op pad na jou toe om te vra wat met haar seun gaan gebeur, want hy is siek. Ek sal vir jou sê wat jy vir haar moet sê. Wanneer sy hier aankom, sal sy nie haar identiteit bekend maak nie."

6 Toe Ahi'a die geluid van haar voetstappe naby die ingang hoor, het hy gesê: "Kom in, vrou van Jero'beam. Hoe kom steek jy jou identiteit weg? Ek moet vir jou 'n harde boodskap gee. **7** Gaan sê vir Jero'beam: 'Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: "Ek het jou onder jou volk uitgekies om jou 'n leier oor my volk Israel te maak."^b **8** Toe het ek die koninkryk weggeskeur van die huis van Dawid en dit aan jou gegee.^c Maar jy is nie soos my kneg Dawid, wat my gebooi gehoorsaam het en my met sy hele hart gevolg het deur net te doen wat reg is in my oë nie."^d **9** Maar jy het erger dinge gedoen as almal wat voor jou was, en jy het vir jou 'n ander god en metaalbeelde gemaak en my daardeur aanstoot gegee,^e en jy het jou rug op my gedraai.^f **10** Daarom bring ek rampspoed oor die huis van Jero'beam, en ek sal almal wat manlik is^g uit die huis van Jero'beam uitroei, insluitende die hulpeloses en die swakkes in Israel. En ek sal heeltemal ontslae raak van die huis van Jero'beam,^g net

14:10 *Lett. "enigiemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys.

soos 'n mens mis verwyder tot dat dit alles weg is! **11** Enigiemand van die huis van Jero'beam wat in die stad sterf, sal deur die honde opgeëet word, en enigiemand wat in die veld sterf, sal deur die voëls van die hemel opgeëet word, want dit is wat Jehovah gesê het.”

12 “Staan nou op en gaan na jou huis toe. Wanneer jy die stad bereik, sal die kind sterf. **13** Die hele Israel sal oor hom rou en hom begrawe, want hy is die enigste een van Jero'beam se familie wat begrawe sal word omdat hy die enigste een is van die huis van Jero'beam in wie Jehovah, die God van Israel, iets goeds gevind het. **14** Jehovah sal vir Hom 'n koning oor Israel aanstel wat die huis van Jero'beam^a sal uitroei, en daardie dag is naby. **15** Jehovah sal Israel platslaan soos 'n riet wat in die water heen en weer beweeg, en hy sal Israel uitruk uit hierdie goeie land wat hy aan hulle voorvaders gegee het,^b en hy sal hulle anderkant die Rivier* verstrooi^c omdat hulle heilige pale^d gemaak het en Jehovah sodoende aanstoot gegee het. **16** En hy sal Israel verlaat as gevolg van die sondes wat Jero'beam gepleeg het en wat hy Israel laat pleeg het.”^e

17 Toe het Jero'beam se vrou opgestaan en na Tirsagaan. Toe sy by die drumpel van die huis kom, het die seun gestarf. **18** En hulle het hom begrawe, en die hele Israel het oor hom gerou, net soos Jehovah deur middel van sy kneg, die profeet Ahi'a, gesê het.

19 En wat die res van die geskiedenis van Jero'beam betref, hoe hy oorlog gevoer het en hoe hy regeer het, dit is

14:15 *Die Eufraatrivier. **14:15, 23** *Sien Woordelys.

HFST. 14

a 1Kn 15:25-29

b De 8:7-9
De 29:28
Jos 23:15
2Kn 17:6c De 28:64
2Kn 15:29
2Kn 18:11

d De 12:3

e 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33, 34f 2Kr 12:15
2Kr 13:3

Tweede kol.

a 2Kr 13:20

b 1Kn 15:25

c Ps 78:68
Ps 132:13d Eks 20:24
De 12:5, 6
1Kn 8:16, 17e 1Kn 11:1
2Kr 12:13f 1Kn 11:7
2Kr 12:1

g Jes 65:2

h Le 26:1

i Jes 65:7

j De 12:2, 3
Jes 57:5
Jer 2:20
Ho 4:13k De 23:17, 18
1Kn 15:11, 12
1Kn 22:46
2Kn 23:7
Ho 4:14

l 1Kn 11:40

m 2Kr 12:2-4

n 1Kn 7:51
1Kn 15:18
2Kn 18:14, 15
2Kn 24:12, 13o 1Kn 10:16, 17
2Kr 12:9-11

opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **20** En Jero'beam het 22 jaar lank regeer, en daarna het hy gesterf.^{*a} En sy seun Nadab het in sy plek koning geword.^b

21 Wat Reha'beam, die seun van Salomo, betref, hy was koning in Juda. Reha'beam was 41 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 17 jaar lank in Jerusalem regeer, die stad wat Jehovah uit al die stamme van Israel uitgekies het^c om sy naam daar te vestig.^d Reha'beam se ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou.^e **22** En Juda het gedoen wat sleg was in die oë van Jehovah.^f En deur die sondes wat hulle gepleeg het, het hulle hom meer uitgetart as hulle voorvaders.^g **23** Hulle het ook aangehou om vir hulle offerhoogtes, heilige pilare en heilige pale^h te bou op elke hoë heuwelⁱ en onder elke groot boom.^j **24** Daar was ook manlike tempelprostitute in die land.^k Hulle het dieselfde afskuwelike dinge gedoen as die nasies wat Jehovah voor die Israeliete uit verdryf het.

25 In die vyfde jaar van koning Reha'beam het koning Sisak^l van Egipte teen Jerusalem opgetrek.^m **26** Hy het die skatte van die huis van Jehovah en die skatte van die koning se paleis geneem.ⁿ Hy het alles geneem, insluitende al die goue skilde wat Salomo gemaak het.^o **27** Daarom het koning Reha'beam koperskilde gemaak om dit te vervang, en hy het dit toevertrou aan die hoofde van die wagte* wat by die ingang van die koning se paleis wag gehou het. **28** Elke keer as die koning

14:20 *Lett. “is hy by sy vaders neergelê”. **14:27** *Lett. “hardlopers”.

na die huis van Jehovah gegaan het, het die wagte saam met hom gegaan en die skilde gedra, en daarna het hulle dit na die kamer van die wagte teruggeneem.

29 Die res van die geskiedenis van Reha'beam, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda.^a **30** Daar was heeldyd oorlog tussen Reha'beam en Jero'beam.^b **31** Reha'beam het gesterf,* en hy is in die Stad van Dawid begrawe.^c Sy ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou.^d En sy seun Abi'am^e het in sy plek koning geword.

15 In die 18de jaar van koning Jero'beam,^f die seun van Nebat, het Abi'am koning oor Juda geword.^g **2** Hy het drie jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Ma'äga,^h die kleindogter van Abi'salom. **3** Hy het dieselfde sondes as sy pa gepleeg, en hy het Jehovah sy God nie met sy hele hart gedien soos sy voorvader Dawid nie. **4** Maar ter wille van Dawidⁱ het Jehovah sy God hom 'n lamp in Jerusalem gegee^j deur vir hom 'n seun te gee en deur Jerusalem te laat voortbestaan. **5** Want Dawid het gedoen wat reg is in die oë van Jehovah, en hy het sy hele lewe lank nie afgewyk van enigiets wat Hy hom beveel het nie, behalwe in die geval van Uri'a, die Hetiet.^k **6** En daar was oorlog tussen Reha'beam en Jero'beam, al die dae van sy lewe.^l

7 En die res van die geskiedenis van Abi'am, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van

14:31; 15:8 *Lett. "is by sy vaders neergelê". 14:31 ^aOok Abia genoem.

HFST. 14

- a 1Kr 27:24
- 2Kr 12:15
- b 1Kn 15:6
- c 1Kn 11:43
- d 1Kn 11:1
- 2Kr 12:13
- e 1Kr 3:10
- Mt 1:7

HFST. 15

- f 1Kn 12:20
- g 2Kr 13:1, 2
- h 2Kr 11:20-22
- i 2Sa 7:8, 12
- Ps 89:33-37
- Jes 37:35
- Jer 33:20, 21
- j 1Kn 11:36
- 2Kr 21:7
- Ps 132:13, 17
- k 2Sa 11:4, 15
- Ps 51:Ops
- l 1Kn 14:30
- 2Kr 12:15

Tweede kol.

- a 2Kr 13:22
- b 2Kr 13:3
- c 1Kr 3:10
- Mt 1:7
- d 2Kr 14:1
- e 2Kr 11:21, 22
- f 2Kr 14:2-5
- 2Kr 14:11
- 2Kr 15:17
- g De 23:17, 18
- 1Kn 14:24
- 1Kn 22:45, 46
- h 1Kn 11:7
- 1Kn 14:22, 23
- i 2Kr 11:18, 20
- j De 7:5
- 2Kn 18:1, 4
- 2Kr 34:1, 4
- k 2Sa 15:23
- 2Kr 15:16-18
- Joh 18:1
- l Nu 33:52
- De 12:2
- 1Kn 22:41, 43
- m 1Kr 26:26, 27
- n 1Kn 16:3, 12
- o Jos 18:21, 25
- p 2Kr 16:1-6

Juda.^a En daar was oorlog tussen Abi'am en Jero'beam.^b **8** Abi'am het gesterf,* en hy is in die Stad van Dawid begrawe. En sy seun Asa^c het in sy plek koning geword.^d

9 In die 20ste jaar van koning Jero'beam van Israel het Asa oor Juda begin regeer. **10** Hy het 41 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ouma was Ma'äga,^e die kleindogter van Abi'salom. **11** Asa het gedoen wat reg is in die oë van Jehovah,^f soos sy voorvader Dawid. **12** Hy het die manlike tempelprostitute uit die land uitgedryf^g en al die walglike afgode* verwyder wat sy voorvaders gemaak het.^h **13** Hy het selfs sy ouma Ma'ägaⁱ uit haar posisie as koninginmoeder* verwyder omdat sy 'n afstootlike afgod gemaak het vir die aanbidding van die heilige paal.^j Asa het haar afstootlike afgod^j afgekap en dit in die Kidron-vallei^k verbrand. **14** Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie.^l Asa het Jehovah nogtans sy hele lewe lank met sy hele hart gedien. **15** En hy het die dinge wat hy en sy pa geheilig het, in die huis van Jehovah ingebring: silwer, goud en allerhande voorwerpe.^m

16 Daar was heeldyd oorlog tussen Asa en Baäsa,ⁿ die koning van Israel. **17** Koning Baäsa van Israel het teen Juda opgetrek. Hy het Rama^o begin opbou* om te verhoed dat enigiemand uit die gebied van koning Asa van Juda uitgaan of daar ingaan.^p **18** Toe het Asa al die silwer en die goud geneem wat in die skatkamers van die

15:12 *Die Hebreuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. 15:13 *Of "as dame". ^aSien Woordeslys. 15:17 *Of "versterk; herbou".

huis van Jehovah en die skatkamers van die paleis van die koning oorgebly het en dit vir sy knegte gegee. Koning Asa het hulle toe gestuur na Ben-Hadad, die seun van Tabrim'mon, die seun van Hes'jon, die koning van Sirië,^a wat in Damaskus gewoon het, om te sê: **19** "Daar is 'n ooreenkoms* tussen my en u en tussen my pa en u pa. Ek stuur vir u 'n geskenk van silwer en goud. Breek u ooreenkoms* met koning Baäsa van Israel, sodat hy van my af sal wegtrek." **20** Ben-Hadad het na koning Asa geluister en het die hoofde van sy leërmag gestuur om teen die stede van Israel te veg, en hulle het Ijon,^b Dan,^c A'bel-Bet-Ma'äga, die hele Kinne'ret en die hele land van Naf'tali verower. **21** Toe Baäsa daarvan hoor, het hy onmiddellik opgehoo om Rama op te bou* en in Tirsad^d gebly. **22** Koning Asa het toe die hele Juda byme-kaargeroep – niemand was vrygestel nie – en hulle het die klippe en balke weggedra wat Baäsa gebruik het om Rama op te bou, en koning Asa het dit gebruik om Geba^e in Benjamin en Mispaf^f op te bou.*

23 Wat die res van die geskiedenis van Asa betref, al sy magtige dade en alles wat hy gedoen het en die stede wat hy gebou* het, dit is alles opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. Maar op sy oudag het hy 'n voetkwaal ontwikkel.^g **24** Asa het gesterf,* en hy is in die Stad van Dawid sy voorvader begrawe. En sy seun Jo'safat^h het in sy plek koning geword.

15:19 *Of "verbond". **15:21, 22** *Of "te versterk; te herbou". **15:23** *Of "versterk; herbou". **15:24** *Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 15

a 2Kr 16:7

b 2Kn 15:29

c Rig 18:29
1Kn 12:28, 29d 1Kn 14:17
Hgl 6:4

e Jos 21:8, 17

f Jos 18:21, 26
Rig 20:1
1Sa 7:5
Jer 40:6

g 2Kr 16:11-14

h 1Kn 22:42
2Kr 17:3, 4
2Kr 18:1
2Kr 19:4
Mt 1:8

Tweede kol.

a 1Kn 14:20

b 1Kn 14:7, 9

c 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33d Jos 19:44, 48
Jos 21:20, 23
1Kn 16:15

e 1Kn 14:9, 10

f 2Kr 12:15

g 1Kn 16:8

h 1Kn 16:7

25 In die tweede jaar van koning Asa van Juda het Nadab,^a die seun van Jero'beam, koning oor Israel geword. En hy het twee jaar lank oor Israel regeer. **26** Hy het bly doen wat sleg is in die oë van Jehovah en dieselfde weg as sy pa gevolg,^b en hy het Israel dieselfde sondes laat pleeg as wat sy pa hulle laat pleeg het.^c **27** Terwyl Nadab en die hele Israel Gib'beton^d beleër het, het Baäsa, die seun van Ahi'a, van die huis van Is'saskar, teen hom saamgesweer en hom doodgemaak by Gib'beton, wat aan die Filistyne behoort het. **28** Dit was in die derde jaar van koning Asa van Juda dat Baäsa vir Nadab doodgemaak het en in sy plek koning geword het. **29** En onmiddellik nadat hy koning geword het, het hy die hele huis van Jero'beam uitgeroei. Hy het niemand van die huis van Jero'beam laat ontsnap nie. Hy het hulle doodgemaak, net soos Jehovah deur middel van sy kneg Ahi'a, die Siloniet, gesê het.^e **30** Dit het gebeur omdat Jero'beam Jehovah, die God van Israel, baie kwaad gemaak het as gevolg van die sondes wat hy gepleeg het en die sondes wat hy Israel laat pleeg het. **31** En die res van die geskiedenis van Nadab, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **32** En daar was heeltyd oorlog tussen Asa en koning Baäsa van Israel.^f

33 In die derde jaar van koning Asa van Juda het Baäsa, die seun van Ahi'a, in Tirsad^g koning oor die hele Israel geword, en hy het 24 jaar lank regeer.^g

34 Maar hy het bly doen wat sleg is in die oë van Jehovah^h en het dieselfde weg as Jero'beam gevolg, en hy het Israel dieself-

de sondes laat pleeg as wat Jero'beam hulle laat pleeg het.^a

16 Jehu,^b die seun van Hana'ni,^c het toe die volgende boodskap teen Baäsa van Jehovah ontvang: **2** "Ek het jou uit die stof uit opgetel en jou 'n leier oor my volk Israel gemaak,^d maar jy het dieselfde weg as Jero'beam gevolg en het my volk Israel laat sondig, en hulle het my aanstoot gegee weens hulle sondes.^e **3** Daarom sal ek heeltemal ontslae raak van Baäsa en sy huis, en ek sal sy huis soos die huis van Jero'beam,^f die seun van Nebat, maak. **4** Enigiemand van Baäsa se huis wat in die stad sterf, sal deur die honde opgeëet word, en enigiemand van sy huis wat in die veld sterf, sal deur die voëls van die hemel opgeëet word."

5 Wat die res van die geskiedenis van Baäsa betref, wat hy gedoen het en sy magtige dade, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **6** Baäsa het gesterf,^g en hy is in Tirsa^g begrawe. En sy seun Ela het in sy plek koning geword. **7** En Jehovah het sy oordeel teen Baäsa en sy huis aangekondig deur middel van die profeet Jehu, die seun van Hana'ni, omdat Baäsa Nadab doodgemaak het en omdat hy so baie slegte dinge in die oë van Jehovah gedoen het en hom sodoende aanstoot gegee het,^h net soos die huis van Jero'beam.

8 In die 26ste jaar van koning Asa van Juda het Ela, die seun van Baäsa, in Tirsa koning oor Israel geword, en hy het twee jaar lank regeer. **9** Sy kneg Simri, die hoof oor die helfte van sy strydwaens, het

16:6 *Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 15

a 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33

HFST. 16

b 2Kr 19:2
2Kr 20:34

c 2Kr 16:7

d 1Sa 2:8

e 1Kn 13:33

f 1Kn 14:10, 11
1Kn 15:29

g 1Kn 15:21, 33

h 1Kn 15:25-29

Tweede kol.

a 2Kn 9:31

b 1Kn 16:1-3

c De 32:21
1Sa 12:21
2Kn 17:15
Jes 41:29

d Jos 19:44, 48
Jos 21:20, 23
1Kn 15:27

e 2Kn 8:26
Mi 6:16

teen hom saamgesweer. Toe Ela hom dronk gedrink het in Tirsa, by die huis van Arsa, wat oor die huishouding in Tirsa was, **10** het Simri ingekom en hom doodgemaak.^a Dit was in die 27ste jaar van koning Asa van Juda. Simri het in sy plek koning geword. **11** Toe hy koning word, het hy onmiddellik nadat hy op sy troon gaan sit het, die hele huis van Baäsa uitgeroei. Hy het nie een van sy familieleden* of vriende gespaar wat manlik^g was nie. **12** So het Simri die hele huis van Baäsa uitgeroei, in ooreenstemming met die boodskap teen Baäsa wat Jehovah deur middel van die profeet Jehu gegee het.^b **13** Dit was die gevolg van al die sondes wat Baäsa en sy seun Ela gepleeg het en al die sondes wat hulle Israel laat pleeg het deur Jehovah, die God van Israel, aanstoot te gee met hulle waardelose afgode.^c **14** En die res van die geskiedenis van Ela, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel.

15 In die 27ste jaar van koning Asa van Juda het Simri in Tirsa koning geword, en hy het sewe dae lank regeer, terwyl die soldate kamp opgeslaan het om teen Gib'beton^d te veg, wat aan die Filistyne behoort het. **16** Later het die soldate in die kamp gehoor dat Simri teen die koning saamgesweer het en hom doodgemaak het. Die hele Israel het Omri,^e die hoof van die leërmag, op daardie dag in die kamp koning oor Israel gemaak. **17** Omri en die hele Israel het van

16:11 *Of "bloedwrekers". ^gLett. "enigiemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys.

Gib'beton af gegaan en Tirsabeleër. **18** Toe Simri sien dat die stad ingeneem is, het hy in die versterkte toring van die koning se paleis ingegaan en dit afgebrand, en hy het in die vlamme gesterf.^a **19** Dit was die gevolg van die sondes wat hy gepleeg het deur te doen wat sleg is in die oë van Jehovah. Hy het dieselfde weg gevolg as Jero'beam, en hy het Israel laat sondig.^b **20** Die res van die geskiedenis van Simri en sy sameswering is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel.

21 Toe is Israel in twee verdeel. Een deel van die volk het Tibni, die seun van Ginat, ondersteun en wou hom koning maak, en die ander deel het Omri ondersteun. **22** Maar die mense wat Omri ondersteun het, het die oorhand gekry oor die mense wat Tibni, die seun van Ginat, ondersteun het. Tibni het toe gesterf, en Omri het koning geword.

23 In die 31ste jaar van koning Asa van Juda het Omri koning oor Israel geword, en hy het 12 jaar lank regeer. Hy het ses jaar lank in Tirsaregeer. **24** Hy het die berg Samari'a vir twee talente* silwer van Semer gekoop, en hy het 'n stad op die berg gebou. Hy het die stad wat hy gebou het, Samari'a^{nc} genoem. Hy het dit vernoem na Semer, die eienaar^d van die berg. **25** Omri het bly doen wat sleg is in die oë van Jehovah, en hy was slegter as almal wat voor hom was.^d **26** Hy het dieselfde weg gevolg as Jero'beam, die seun van Nebat, en net soos Jero'beam het hy Is-

16:24 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. ^aBetekend "wat behoort aan die familiegroep van Semer". ^bLett. "heer".

HFST. 16

a Rig 9:53, 54
1Sa 31:4
2Sa 17:23b 1Kn 12:28-30
1Kn 14:7, 9c 1Kn 20:1
2Kn 17:24
Am 6:1
Han 8:5

d Mi 6:16

Tweede kol.

a 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33b 1Kn 16:33
1Kn 21:4
1Kn 21:20-22
2Kn 10:1c 1Kn 16:23, 24
Jes 7:9d 1Kn 16:25
1Kn 21:25
2Kn 3:1, 2

e 1Kn 12:28-30

f 1Kn 18:4, 19
1Kn 21:7
2Kn 9:30
Op 2:20

g Ge 10:15

h Rig 2:11
Rig 10:6
2Kn 10:19
2Kn 17:16

i 2Kn 10:21, 27

j Eks 34:13
2Kn 10:26, 28
2Kn 13:6

k Jos 6:26

rael laat sondig deur Jehovah, die God van Israel, met hulle waardelose afgode aanstoot te gee.^a **27** Wat die res van die geskiedenis van Omri betref, wat hy gedoen het en sy magtige dade, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **28** Omri het gesterf,* en hy is in Samari'a begrawe. Sy seun Agab^b het in sy plek koning geword.

29 Agab, die seun van Omri, het in die 38ste jaar van koning Asa van Juda koning oor Israel geword, en Agab, die seun van Omri, het 22 jaar lank in Samari'a^c oor Israel regeer.

30 Agab, die seun van Omri, was slegter in die oë van Jehovah as almal wat voor hom was.^d **31** Asof dit nie erg genoeg was dat hy dieselfde sondes gepleeg het as Jero'beam,^e die seun van Nebat, nie, het hy ook Ise'bel,^f die dogter van Et'baäl, die koning van die Sidoniërs,^g as vrou geneem en Baäl begin dien^h en voor hom neergebui. **32** Hy het ook vir Baäl 'n altaar opgerig in die tempel* van Baälⁱ wat hy in Samari'a gebou het. **33** Agab het ook die heilige paal^j gemaak. Agab het meer gedoen om Jehovah, die God van Israel, aanstoot te gee as al die konings van Israel wat voor hom was.

34 In sy dae het Hiël, van Bet-El, Je'rigo herbou. Toe hy die fondament gelê het, het dit hom sy eersgeborene, Abi'ram, gekos, en toe hy die deure ingesit het, het dit hom sy jongste seun, Segub, gekos, net soos Jehovah deur middel van Josua, die seun van Nun, gesê het.^k

16:28 *Lett. "is by sy vaders neergelê". **16:32** *Lett. "huis". **16:33** *Sien Woordelys.

17 Eli'a,^{*a} die Tisbiet, 'n inwoner van Gi'lead,^b het vir Agab gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, die God van Israel wat ek dien,[#] vir die volgende paar jaar sal daar nie dou of reën wees behalwe op my bevel nie!"^c

2 Jehovah het toe vir Eli'a gesê: **3** "Gaan van hier af na die ooste toe en kruip weg in die Kerit-vallei,* oos van die Jordaandrivier. **4** Jy moet uit die stroom drink, en ek sal die kraaie beveel om daar vir jou kos te bring."^d **5** Hy het onmiddellik gegaan en gedoen wat Jehovah gesê het. Hy het in die Kerit-vallei,* oos van die Jordaandrivier, gaan bly. **6** In die oggend en in die aand het die kraaie vir hom brood en vleis gebring, en hy het uit die stroom gedrink.^e **7** Maar later het die stroom opgedroog^f omdat daar geen reën in die land was nie.

8 Jehovah het toe vir hom gesê: **9** "Staan op, gaan na Sarfat, in die gebied van Sidon, en gaan bly daar. Ek sal 'n weduwee daar beveel om kos aan jou te voorsien."^g **10** Daarom het hy opgestaan en na Sarfat gegaan. Toe hy by die ingang van die stad kom, was daar 'n weduwee wat stukke hout bymekaar maak. Hy het vir haar gesê: "Bring asseblief vir my 'n bietjie water om te drink."^h **11** Toe sy dit gaan haal, het hy agter haar aan geroep: "Bring asseblief vir my 'n stukkie brood saam." **12** Sy het toe gesê: "So waar as wat Jehovah u God lewe, ek het geen brood nie, net 'n hand vol meel in die groot kruik en 'n bietjie olie in die klein kruik."

17:1 *Beteken "my God is Jehovah".
[#] Lett. "voor wie ek staan". **17:3, 5** *Of "wadi Kerit". Sien Woordelys.

HFST. 17

a 1Kn 17:15, 16
 1Kn 17:22, 24
 1Kn 18:36, 38
 1Kn 18:46
 2Kn 2:8, 11
 Lu 1:17
 Joh 1:19, 21

b Jos 22:9

c De 28:15, 23
 Jer 14:22
 Lu 4:25
 Jak 5:17

d Ps 37:25
 Mt 6:11

e Nu 11:23
 Rig 15:19

f 1Kn 18:5

g Lu 4:25, 26

h Heb 11:32, 37

i 2Kn 4:2

Tweede kol.

a Ps 34:10
 Ps 37:17, 19
 Flp 4:19

b Mt 10:41, 42
 Lu 4:25, 26

c 2Kn 4:19, 20

d Job 13:26

e 2Kn 4:21, 32

f Ps 99:6

Nou maak ek 'n paar stukke hout bymekaar, en dan sal ek huis toe gaan en vir my en my seun iets maak. Nadat ons geëet het, sal ons sterf."

13 Toe het Eli'a vir haar gesê: "Moenie bang wees nie. Gaan huis toe en doen wat jy gesê het. Maar maak eers van wat jy het vir my 'n klein ronde brood, en bring dit vir my. Daarna kan jy vir jou en jou seun iets maak. **14** Want dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Die groot kruik meel sal nie oppraak nie, en die klein kruik olie sal nie leegraak nie tot die dag dat Jehovah dit op die aarde laat reën.'"^a **15** Sy het dus gegaan en gedoen wat Eli'a gesê het, en sy, Eli'a en haar huisgesin het baie dae lank geëet.^b **16** Die groot kruik meel het nie opgeraak nie, en die klein kruik olie het nie leeggeraak nie, net soos Jehovah deur middel van Eli'a gesê het.

17 Ná hierdie dinge het die seun van die vrou wat die huis besit het, siek geword. Hy het so siek geword dat hy opgehou het om asem te haal.^c **18** Sy het toe vir Eli'a gevra: "Wat het u teen my,* o man van die ware God? Het u gekom om my te herinner aan my sondes en om my seun dood te maak?"^d **19** Maar hy het vir haar gesê: "Gee jou seun vir my." Toe het hy hom uit haar arms geneem en hom opgedra na die dakvertrek, waar hy gebly het, en hy het hom op sy bed neergelê.^e **20** Hy het Jehovah aangeroep en gesê: "O Jehovah my God,^f bring u nou ook rampspoed oor die weduwee by wie ek bly deur haar seun dood te maak?" **21** Toe het hy hom drie keer oor die kind uitgestrek en Jehovah aangeroep en

17:18 *Of "Wat het ek met u te doen".

gesê: “O Jehovah my God, laat hierdie kind asseblief weer lewe.”* **22** Jehovah het na Eli’a se versoek geluister,^a en die kind het weer lewendig geword.*^b **23** Eli’a het die kind geneem en hom van die dakvertrek af in die huis ingebring en hom vir sy ma gegee. En Eli’a het gesê: “Kyk, jou seun lewe.”^c **24** Toe het die vrou vir Eli’a gesê: “Nou weet ek dat u waarlik ’n man van God is^d en dat Jehovah se woord wat u oorgedra het, waar is.”

18 Ná verloop van tyd, in die derde jaar,^e het Jehovah vir Eli’a gesê: “Gaan na Agab toe. Ek sal dit laat reën op die aarde.”^f **2** Eli’a het dus na Agab toe gegaan, terwyl die hongersnood baie erg^g was in Samari’a.

3 Intussen het Agab Obad’ja geroep, wat oor die huishouding was. (Obad’ja het groot vrees vir Jehovah gehad, **4** en toe Ise’bel^h Jehovah se profete doodgemaak het, het Obad’ja 100 profete geneem en hulle in grotte weggesteek, 50 in ’n grot, en hy het hulle van kos* en water voorsien.) **5** Agab het toe vir Obad’ja gesê: “Trek deur die land na al die waterfonteine en na al die valleie.* Miskien kan ons genoeg gras vind om die perde en mulle aan die lewe te hou sodat al ons diere nie doodgaan nie.” **6** Hulle het toe die land verdeel waardeur hulle sou trek. Agab het alleen met een pad gegaan, en Obad’ja het alleen met ’n ander pad gegaan.

7 Toe Obad’ja op pad was, het Eli’a gekom om hom te ont-

17:21 *Of “laat die siel van hierdie kind asseblief weer in hom terugkeer”. 17:22 *Of “die siel van die kind het in hom teruggekeer”. 18:4, 13 *Lett. “brood”. 18:5 *Of “wadi’s”. Sien Woordelys.

HFST. 17

a Jak 5:16

b De 32:39

1Sa 2:6

2Kn 4:32, 34

2Kn 13:21

Lu 7:15

Lu 8:54, 55

Joh 5:28, 29

Joh 11:44

Han 9:40, 41

Han 20:9, 10

Ro 14:9

Heb 11:17, 19

c Heb 11:35

d Joh 3:2

HFST. 18

e Lu 4:25

Jak 5:17

f Ps 65:9, 10

Jer 14:22

g Le 26:26

De 28:24

h 1Kn 16:31

Tweede kol.

a 2Kn 1:8

b 1Kn 17:2, 3

c 2Kn 2:15, 16

Mt 4:1

Han 8:39

d 1Kn 18:4

moet. Hy het hom dadelik herken en met sy gesig na die grond toe neergebuig en gevra: “Is dit u, my heer Eli’a?”^a **8** Hy het vir hom gesê: “Ja, dit is ek. Gaan sê vir jou heer: ‘Eli’a is hier.’” **9** Maar hy het gesê: “Watter sonde het ek gepleeg dat u u kneg sou oorgee aan Agab sodat hy my kan doodmaak?” **10** So waar as wat Jehovah u God lewe, my heer het by elke nasie en koninkryk na u laat soek. Nadat hulle gesê het: ‘Hy is nie hier nie,’ het hy daardie koninkryk en daardie nasie laat sweer dat hulle u nie kon vind nie.^b **11** En nou sê u: ‘Gaan sê vir jou heer: “Eli’a is hier.”’ **12** Wanneer ek van u af weggaan, sal die gees van Jehovah u wegneem^c na die een of ander plek, en wanneer ek Agab gaan vertel en hy u nie vind nie, sal hy my sekerlik doodmaak. En tog vrees u kneg Jehovah al van jongs af. **13** Het my heer nie gehoor wat ek gedoen het toe Ise’bel die profete van Jehovah doodgemaak het nie? Ek het 100 profete van Jehovah in grotte weggesteek, 50 in ’n grot, en ek het hulle van kos* en water bly voorsien.^d **14** Maar nou sê u: ‘Gaan sê vir jou heer: “Eli’a is hier.”’ Hy sal my sekerlik doodmaak.” **15** Eli’a het egter gesê: “So waar as wat Jehovah lewe, die God van die leërmagte en die Een wat ek dien,* vandag sal ek voor hom verskyn.”

16 Obad’ja het dus na Agab toe gegaan en vir hom die boodskap gegee, en Agab het na Eli’a toe gegaan.

17 Toe Agab Eli’a sien, het hy vir hom gevra: “Is dit jy, die een wat rampspoed* oor Israel bring?”

18:15 *Lett. “voor wie ek staan”. 18:17 *Of “verwerping”.

18 Toe het hy gesê: “Ek het nie rampspoed oor Israel gebring nie, maar u en die huis van u vader het, want julle het die gebooi van Jehovah verlaat en die Baäls gevolg.^a **19** Laat die hele Israel na my toe kom op die berg Karmel,^b en ook die 450 profete van Baäl en die 400 profete van die heilige paal,^{*c} wat aan die tafel van Ise’bel eet.” **20** Toe het Agab ’n boodskap na al die Israëliete gestuur en die profete op die berg Karmel bymekaar laat kom.

21 Toe het Eli’a nader aan die volk gegaan en gesê: “Hoe lank sal julle besluiteloos bly?^{*d} As Jehovah die ware God is, volg hom.^e Maar as dit Baäl is, volg hom!” Maar die volk het hom nie geantwoord nie. **22** Eli’a het verder vir die volk gesê: “Ek is die enigste profete van Jehovah wat nog oor is,^f terwyl daar 450 profete van Baäl is. **23** Bring vir ons twee jong bulle, en laat hulle een jong bul kies en dit in stukke sny en op die hout sit, maar hulle moet dit nie aan die brand steek nie. Ek sal die ander jong bul gereedmaak en dit op die hout sit, maar ek sal dit nie aan die brand steek nie. **24** Dan moet julle die naam van julle god aanroep,^g en ek sal die naam van Jehovah aanroep. Die God wat met vuur antwoord, is die ware God.”^h Toe het die hele volk gesê: “Dit is goed so.”

25 Eli’a het toe vir die profete van Baäl gesê: “Kies vir julle een jong bul en maak dit eerste gereed, want julle is in die meerderheid. Roep dan die naam van julle god aan, maar julle mag nie vuur maak nie.” **26** Daarna het

18:19 *Sien Woordelys. **18:21** *Of “op twee krukke bly; op twee gedagtes hink”.

HFST. 18

a Eks 20:4
1Kn 9:9
1Kn 16:30-33

b Jos 19:26, 31

c 1Kn 16:33

d Jer 2:11
Ho 10:2
Mt 12:30
1Kor 10:21
2Kor 6:14, 15

e Eks 20:5
Jos 24:15
1Sa 7:3
Ps 100:3

f 1Kn 19:9, 10

g Rig 6:31

h Le 9:23, 24
De 4:24
Rig 6:21
1Kr 21:26
2Kr 7:1

Tweede kol.

a Jes 45:20
Jer 10:5
Da 5:23
Hab 2:18, 19
1Kor 8:4

b Jes 41:23

c Jes 44:19, 20

d 1Kn 19:14

e Ge 32:28, 30
Ge 35:10
Jes 48:1

f Eks 20:25
De 27:6

hulle die jong bul geneem wat vir hulle gegee is, dit gereedgemaak en van die oggend tot die middag die naam van Baäl bly aanroep en gesê: “O Baäl, antwoord ons!” Maar daar was geen stem nie, en niemand het geantwoord nie.^a Hulle het heeltyd rondgespring om die altaar wat hulle gemaak het. **27** Teen die middag het Eli’a hulle begin spot en gesê: “Roep so hard as wat julle kan! Hy is mos ’n god!^b Miskien is hy diep in gedagte of miskien het hy toilet toe* gegaan. Of miskien slaap hy en moet iemand hom wakker maak!” **28** Hulle het so hard uitgeroep as wat hulle kon, en volgens hulle gebruik, het hulle hulle met dolke en met spiese gesny, totdat hulle bloed uitgestroom het. **29** Die middag het verbygegaan, en hulle het nog steeds te kere gegaan* tot die tyd van die aandgraanoffer, maar daar was geen stem nie, en niemand het geantwoord nie. Niemand het aandag geskenk nie.^c

30 Uiteindelik het Eli’a vir die hele volk gesê: “Kom nader.” Toe het die hele volk nader gegaan. Daarna het hy die altaar van Jehovah herstel wat afgebreek was.^d **31** Eli’a het toe 12 klippe geneem, volgens die getal stamme van die seuns van Jakob, vir wie Jehovah gesê het: “Jou naam sal Israel wees.”^e **32** Hy het met die klippe ’n altaar gebou^f tot eer van Jehovah se naam. Daarna het hy om die altaar ’n sloot gemaak wat so groot was soos ’n stuk grond waarop twee sea* saad gesaai kon word. **33** Daarna het hy die stukke hout reggesit, die

18:27 *Of moontlik “op reis”. **18:29** *Of “soos profete opgetree”. **18:32** *’n Sea was gelyk aan 7,33 l. Sien Aanh. B14.

jong bul in stukke gesny en dit op die hout gesit.^a Hy het toe gesê: "Maak vier groot kruie vol water en gooi dit uit op die brandoffer en op die stukke hout." **34** Toe het hy gesê: "Doen dit weer." En hulle het dit weer gedoen. Daarna het hy gesê: "Doen dit 'n derde keer." En hulle het dit 'n derde keer gedoen. **35** Die water het reg rondom die altaar geloop, en hy het ook die sloot vol water gemaak.

36 Omtrent die tyd van die aandgraanoffer^b het die profeet Eli'a na die altaar toe gegaan en gesê: "O Jehovah, die God van Abraham,^c Isak^d en Israel, laat dit vandag bekend word dat u God in Israel is en dat ek u kneg is en dat ek deur u woord al hierdie dinge gedoen het.^e **37** Antwoord my, o Jehovah! Antwoord my, sodat hierdie volk kan weet dat u, Jehovah, die ware God is en dat u hulle hart na u toe laat terugkeer."^f

38 Toe het daar vuur van Jehovah af gekom en dit het die brandoffer,^g die stukke hout, die klippe en die stof verteer, en dit het die water opgedroog wat in die sloot was.^h **39** Toe die hele volk dit sien, het hulle onmiddellik met hulle gesigte na die grond toe neergebuig en gesê: "Jehovah is die ware God! Jehovah is die ware God!" **40** Toe het Eli'a vir hulle gesê: "Gryp die profete van Baäl! Moenie een van hulle laat wegkom nie!" Dadelik het hulle hulle gegryp, en Eli'a het hulle toe na die Kison-stroomⁱ afgeneem en hulle daar doodgemaak.^j

41 Eli'a het vir Agab gesê: "Gaan eet en drink, want ek

18:40 *Of "wadi Kison". Sien Woordelys.

HFST. 18

a Ge 22:9
Le 1:7, 8

b Eks 29:41

c Ge 26:24

d Ge 28:13

e Nu 16:28
Joh 11:42

f Jer 31:18
Ese 33:11

g Le 9:23, 24
Rig 6:21
2Kr 7:1

h 1Kn 18:23, 24

i Rig 5:20, 21
Ps 83:9

j De 13:1-5
De 18:20

Tweede kol.

a 1Kn 17:1

b Jak 5:17, 18

c 1Sa 12:18
Job 38:37

d Jos 19:17, 18
1Kn 21:1

HFST. 19

e 1Kn 16:29
1Kn 21:25

f 1Kn 16:31

g 1Kn 18:40

h Eks 2:15
1Sa 27:1

i Ge 21:31

j Jos 15:21, 28

hoor die geluid van 'n swaar stortreën."^a **42** Agab het toe gegaan om te eet en te drink terwyl Eli'a na die top van Karmel opgegaan het. Hy het gekniel en sy gesig tussen sy knieë gehou.^b **43** Toe het hy vir sy dienaar gesê: "Gaan asseblief hoër op en kyk in die rigting van die see." Hy het dus opgegaan en gekyk en gesê: "Ek sien niks." Eli'a het sewe keer gesê: "Gaan terug." **44** Die sewende keer het sy dienaar gesê: "Kyk! Daar is 'n klein wolkie soos 'n man se hand wat van die see af opkom." Hy het toe gesê: "Gaan sê vir Agab: 'Span die strydwa in! Gaan af sodat die stortreën u nie terughou nie!'" **45** Die lug het toe donker geword van wolke, die wind het gewaai en 'n swaar stortreën het geval.^c En Agab het aanhou ry en na Jis'reël^d gegaan. **46** Maar die hand van Jehovah was met Eli'a, en hy het sy kleed om sy heupe vasgemaak* en die hele pad tot by Jis'reël voor Agab uit gehardloop.

19 Toe het Agab^e vir Ise'belf^f vertel wat Eli'a alles gedoen het en hoe hy al die profete met die swaard doodgemaak het.^g **2** Ise'bel het toe 'n boodskapper na Eli'a gestuur en gesê: "Mag die gode my swaar straf* as ek jou nie môre teen hierdie tyd soos elkeen van hulle maak nie!" **3** Hy het bang geword, en daarom het hy opgestaan en vir sy lewe gevlug.^h Hy het by Berse'baⁱ in Juda^j gekom, en hy het sy dienaar daar agtergelaat. **4** Hy het 'n dagreis ver in die wildernis ingegaan en onder 'n besembos gaan sit en gevra dat hy* moet sterf. Hy het gesê: "Genoeg is genoeg! Neem

18:46 *Of "het sy heupe omgord".
19:2 *Lett. "so aan my doen en daarby voeg". 19:4 *Of "sy siel".

my lewe* weg,^a o Jehovah, want ek is nie beter as my voorvaders nie.”

5 Toe het hy gaan lê en onder die besembos aan die slaap geraak. Maar skielik het 'n engel aan hom geraak^b en vir hom gesê: “Staan op en eet.”^c

6 Hy het opgekyk en 'n ronde brood op verhitte klippe en 'n kruik water by sy kop gesien. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. **7** Later het die engel van Jehovah 'n tweede keer teruggekome en aan hom geraak en gesê: “Staan op en eet, want die reis gaan te veel wees vir jou.”

8 Hy het dus opgestaan en geëet en gedrink. Die kos het hom die krag gegee om 40 dae en 40 nagte lank voort te gaan totdat hy by Horeb, die berg van die ware God,^d gekom het.

9 Hy het in 'n grot ingegaan^e en die nag daar deurgebring. Toe het Jehovah vir hom gevra: “Wat maak jy hier, Eli'a?”

10 Hy het geantwoord: “Ek het Jehovah, die God van die leërmagte, baie ywerig gedien.^f Die Israëliete het u verbond verbreek,^g hulle het u altare afgebreek en hulle het u profete met die swaard doodgemaak,^h en ek is die enigste een wat oorgebly het. Nou wil hulle my doodmaak.”ⁱ **11** Maar God het gesê: “Gaan uit en gaan staan op die berg voor Jehovah.” En Jehovah het verbygegaan,^j en 'n baie sterk wind het berge uitmeekaargeskeur en groot rotse gebreek voor Jehovah,^k maar Jehovah was nie in die wind nie. Ná die wind was daar 'n aardbewing,^l maar Jehovah was nie in die aardbewing nie. **12** Ná die aardbewing was daar 'n vuur,^m maar Jehovah was nie in die vuur nie. Ná die vuur was daar

HFST. 19

a Nu 11:15

Job 3:21

Jon 4:3

b Da 10:8-10

Han 12:7

c Ps 34:7

Heb 1:7,14

d Eks 3:1

Eks 19:18

Mal 4:4

e Heb 11:32, 38

f Eks 20:4, 5

Nu 25:11

Ps 69:9

g De 29:24, 25

Rig 2:20

1Kn 8:9

2Kn 17:15

h 1Kn 18:4

i 1Kn 19:2

Ro 11:2, 3

j Eks 33:22

k Ps 50:3

Jes 29:6

l 1Sa 14:15

Job 9:6

Ps 68:8

Na 1:5

m De 4:11

Tweede kol.

a Eks 34:5, 6

b Eks 3:6

c De 31:20

Ps 78:37

Jes 1:4

Jer 22:9

d Ro 11:2, 3

e 2Kn 8:7, 8

Am 1:4

f 2Kn 9:1-3

2Kn 9:30-33

g 2Kn 2:9, 15

h 2Kn 8:12

2Kn 10:32

2Kn 13:3

i 2Kn 9:14, 24

2Kn 10:6, 7

2Kn 10:23, 25

j 2Kn 2:23, 24

k Ro 11:4

l Eks 20:5

m Ho 13:2

n 2Kn 2:8

'n kalm, sagte stem.^a **13** Toe Eli'a dit hoor, het hy sy gesig met sy ampskleed bedek^b en uitgegaan en by die ingang van die grot gaan staan. Toe het 'n stem vir hom gevra: “Wat maak jy hier, Eli'a?” **14** Hy het geantwoord: “Ek het Jehovah, die God van die leërmagte, baie ywerig gedien. Die Israëliete het u verbond verbreek,^c hulle het u altare afgebreek en hulle het u profete met die swaard doodgemaak, en ek is die enigste een wat oorgebly het. Nou wil hulle my doodmaak.”^d

15 Jehovah het vir hom gesê: “Gaan terug na die wildernis van Damaskus. Wanneer jy daar aankom, moet jy Ha'sael^e as koning oor Sirië salf. **16** En jy moet Jehu,^f die kleinseun van Nimsi, as koning oor Israel salf, en jy moet Eli'sa,^g die seun van Safat, uit A'bel-Meho'la, as profet in jou plek salf.^g **17** Enigiemand wat van Ha'sael se swaard wegkom,^h sal deur Jehu doodgemaak word,ⁱ en enigiemand wat van Jehu se swaard wegkom, sal deur Eli'sa doodgemaak word.^j **18** En ek het nog 7000 mense oor in Israel^k wat nie voor Baäl neergebuig het^l nie en wat hom nie gesoen het nie.”^m

19 Toe het hy van daar af weggegaan en Eli'sa, die seun van Safat, gevind wat besig was om te ploeg met 12 pare bulle voor hom, en hy was by die 12de paar. Eli'a het na hom toe gegaan en sy ampskleedⁿ oor hom gegooi. **20** Hy het toe die bulle daar gelos en agter Eli'a aan gehardloop en gesê: “Laat my asseblief my pa en my ma gaan soen. Dan sal ek u volg.” Hy het gesê: “Gaan, ek sal jou nie keer nie.” **21** En hy het gegaan en een paar bulle

19:4 *Of “siel”.

19:16 *Betekens “God is redding”.

geneem en hulle geslag.* Hy het die hout van die ploeggereedskap gebruik om vuur te maak sodat hy die vleis van die bulle kon kook. Hy het die vleis vir die mense gegee, en hulle het geëet. Daarna het hy opgestaan en Eli'a gevolg en hom begin dien.^a

20 Koning Ben-Hadad^b van Sirië^c het sy hele leërmag bymekaargemaak, sowel as 32 konings en hulle perde en strydwaens. Hy het Samari'a^d gaan beleër^e en daarteen geveg. **2** Toe het hy boodskappers na die stad, na koning Agab^f van Israel gestuur en vir hom gesê: "Dit is wat Ben-Hadad sê: **3** 'Jou silwer en jou goud is myne, en ook jou mooiste vrouens en kinders.'" **4** Die koning van Israel het toe geantwoord: "Goed, my heer die koning. Ek en alles wat myne is, behoort aan u."^g

5 Later het die boodskappers teruggekom en gesê: "Dit is wat Ben-Hadad sê: 'Ek het 'n boodskap na jou toe gestuur en gesê: "Gee vir my jou silwer, jou goud, jou vrouens en jou kinders." **6** Maar omtrent hierdie tyd môre sal ek my knegte na jou toe stuur, en hulle sal jou huis en die huise van jou knegte deursoek en hulle sal alles neem wat hulle wil hê."

7 Die koning van Israel het toe al die ouermanne van die land geroep en gesê: "Kyk nou net, hierdie man soek moeilikhed, want hy het gesê dat ek vir hom my vrouens, my kinders, my silwer en my goud moet gee, en ek het ingestem." **8** Toe het al die ouermanne en die hele volk vir hom gesê: "Moet dit nie doen nie, en moenie instem nie." **9** Daarom het hy vir

19:21 *Lett. "geoffer".

HFST. 19

a Eks 24:13
2Kn 2:3
2Kn 3:11

HFST. 20

b 2Kn 8:7

c 2Sa 8:6
2Kn 5:2
Jes 9:12

d 2Kn 6:24
2Kn 17:5

e De 28:52

f 1Kn 16:29

g De 28:15, 48

Tweede kol.

a Spr 16:18
Spr 27:1
Pr 7:8

b 1Kn 16:29

c Eks 14:18
Ps 37:20

die boodskappers van Ben-Hadad gesê: "Sê vir my heer die koning: 'Ek sal alles doen wat u die eerste keer vir u kneg gesê het, maar hierdie ding kan ek nie doen nie.'" Die boodskappers het toe weggegaan en vir hom die boodskap gegee.

10 Ben-Hadad het toe hierdie boodskap aan hom gestuur: "Mag die gode my swaar straf* as daar genoeg stof in Samari'a oorbly om vir elkeen van die manne wat my volg, 'n hand vol te gee!" **11** Die koning van Israel het geantwoord: "Sê vir hom: 'Die een wat sy wapenrusting aantrek moenie spog soos iemand wat dit uittrek nie.'"^a **12** Toe hy die antwoord hoor, terwyl hy en die konings in hulle tente* gedrink het, het hy vir sy knegte gesê: "Maak gereed om aan te val!" Hulle het hulle toe gereedgemaak om die stad aan te val.

13 Maar 'n profeet het na koning Agab^b van Israel gegaan en gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Het jy hierdie groot skare gesien? Ek gee hulle vandag in jou hand, en dan sal jy weet dat ek Jehovah is.'"^c **14** Agab het gevra: "Hoe?" Die profeet het geantwoord: "Dit is wat Jehovah sê: 'Deur middel van die jong offisiere onder die bevel van die leiers van die provinsies.'"* **15** Agab het toe gevra: "Wie sal die geveg begin?" Die profeet het gesê: "U!"

15 Agab het toe die jong offisiere onder die bevel van die leiers van die provinsies getel, en daar was 232. Daarna het hy al die manne van Israel getel, en daar was 7000. **16** Hulle het in die middel van die dag uit die stad uitgegaan ter-

20:10 *Lett. "so aan my doen en daarby voeg". 20:12 *Of "hutte". 20:14 *Of "regsgebiede".

wyl Ben-Hadad en die 32 konings wat hom gehelp het, hulle in die tente* dronk gedrink het. **17** Toe die jong offisiere onder die bevel van die leiers van die provinsies uit die stad uitgaan, het Ben-Hadad dadelik manne uitgestuur om te sien wat aangaan. Hulle het vir hom kom sê: "Daar is manne wat van Samari'a af gekom het." **18** Hy het toe gesê: "Of hulle nou in vrede gekom het en of hulle gekom het om te veg, gaan vang hulle en bring hulle lewendig hier-natoe." **19** Maar toe die jong offisiere wat onder die bevel van die leiers was en die soldate wat hulle gevolg het, uit die stad uitgegaan het, **20** het hulle hulle vyande doodgemaak. Toe het die Siriërs gevlug,^a en die Israeliete het hulle agterna-gesit. Maar koning Ben-Hadad van Sirië en 'n paar van die perderuiters het op perde gevlug. **21** Die koning van Israel het voortgegaan om die manne op die perde en die strydwaens dood te maak, en hy het die Siriërs verslaan.

22 Later het die profeet^b na die koning van Israel toe gegaan en vir hom gesê: "Gaan versterk u leërmag en dink goed na oor wat u gaan doen,^c want aan die begin van volgende jaar* sal die koning van Sirië u aanval."^d

23 Die knegte van die koning van Sirië het vir hom gesê: "Hulle God is 'n God van berge. Dit is hoekom hulle die oorhand oor ons gekry het. Maar as ons op 'n vlakke teen hulle veg, sal ons die oorhand oor hulle kry. **24** En u moet goewer-neurs in die plek van die konings in die geveg laat uitgaan."^e **25** Dan moet u 'n leërmag bymekaarmaak* wat net so groot

20:16 *Of "hutte". **20:22** *D.w.s. die volgende lente. **20:25** *Lett. "tel".

HFST. 20

a Le 26:8
De 28:7

b 1Kn 20:13

c Spr 20:18

d 2Sa 11:1

e 1Kn 20:1, 16

Tweede kol.

a 2Kn 13:17

b Rig 6:5, 6
1Sa 13:5
2Kr 32:7

c De 32:26, 27
Ese 20:9
Ese 36:22

d Eks 6:7
Eks 7:5
Ps 83:18
Ese 6:14
Ese 39:7

e 1Kn 20:26

f Jon 3:8, 9

is soos die leërmag wat u verloor het, perd vir perd en strydwa vir strydwa. Laat ons op 'n vlakke teen hulle veg, en ons sal vir seker die oorhand oor hulle kry." Hy het na hulle raad geluister en het net so gedoen.

26 Aan die begin van die jaar* het Ben-Hadad die Siriërs bymekaargeroep en na Afek^a gegaan om teen Israel te veg. **27** Die Israeliete is ook bymekaargeroep en van die nodige voorsien, en hulle het teen die Siriërs opgetrek. Toe die Israeliete voor hulle kamp opgeslaan het, het hulle soos twee troppies bokke gelyk, terwyl die Siriërs die hele gebied gevul het.^b **28** Toe het die man van die ware God na die koning van Israel gegaan en gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Omdat die Siriërs gesê het: 'Jehovah is 'n God van berge en nie 'n God van vlaktes nie,' sal ek hierdie groot skare in jou hand gee,^c en julle sal sekerlik weet dat ek Jehovah is.'"^d

29 Hulle kampe was sewe dae lank oorkant mekaar, en op die sewende dag het die geveg begin. Die Israeliete het 100 000 Siriese voetsoldate op een dag doodgemaak. **30** En die res het na Afek^e gevlug en in die stad ingegaan. Maar die muur het op 27 000 van die manne wat oorgebly het, geval. Ben-Hadad het ook gevlug en in die stad ingegaan, en hy het in 'n binnekamer weggekruip.

31 Toe het sy knegte vir hom gesê: "Ons het gehoor dat die konings van die huis van Israel genadig is.* Laat ons saklinne om ons heupe en toue om ons koppe vasmaak en na die koning van Israel uitgaan. Miskien sal hy u lewe^f spaar."^f **32** Toe

20:26 *D.w.s. in die lente. **20:31** *Of "konings van lojale liefde is". ^fOf "siel".

het hulle saklinne om hulle heupe en toue om hulle koppe vasgemaak en na die koning van Israel gegaan en gesê: "U kneg Ben-Hadad sê: 'Laat my asseblief lewe.'" Toe het hy gesê: "Lewe hy nog? Hy is my broer."

33 Die manne het dit as 'n teken beskou en hulle het geglo dat hy bedoel wat hy sê. Hulle het toe gesê: "Ja, Ben-Hadad is u broer." En hy het gesê: "Gaan haal hom." Ben-Hadad het dus na hom toe gegaan, en Agab het hom op sy strydwa laat klim.

34 Ben-Hadad het toe vir hom gesê: "Ek sal die stede teruggee wat my pa van jou pa afgevat het, en jy mag vir jou markte oprig* in Damaskus, net soos my pa in Samari'a gedoen het."

Agab het geantwoord: "Op grond van hierdie ooreenkoms# sal ek jou laat gaan."

Hy het toe 'n ooreenkoms met hom gemaak en hom laat gaan.

35 Op Jehovah se bevel het een van die seuns van die profete*^a vir die man by hom gesê: "Slaan my asseblief." Maar die man het geweier om hom te slaan. **36** Hy het toe vir hom gesê: "Omdat jy nie na die stem van Jehovah geluister het nie, sal 'n leeu jou doodmaak sodra jy van my af weggaan." Nadat hy van hom af weggegaan het, het 'n leeu hom aangeval en hom doodgemaak.

37 Hy het 'n ander man gevind en gesê: "Slaan my asseblief." En die man het hom geslaan en gewond.

38 Toe het die profeet langs die pad vir die koning gaan wag, en hy het hom vermom met 'n

20:34 *Of "strate toewys". #Of "verbond". **20:35** *"Die seuns van die profete" verwys blykbaar na 'n skool vir profete of na 'n vereniging van profete.

HFST. 20

a 2Kn 2:3

Tweede kol.

a 2Kn 10:24

Han 12:19

Han 16:27

b 1Kn 20:35

c Le 27:29

1Sa 15:9

Jer 48:10

d 1Kn 22:31, 35

2Kr 18:33

e 2Kn 6:24

2Kn 8:12

2Kr 18:16

f 1Kn 16:29

HFST. 21

g Jos 19:17, 18

h Le 25:23

Nu 36:7

verband oor sy oë. **39** Toe die koning verbygaan, het hy na die koning uitgeroep en gesê: "U kneg was in die middel van die geveg toe 'n man 'n gevangene na my toe gebring het en gesê het: 'Pas hierdie man op. As hy ontsnap, sal jy in sy plek doodgemaak word,^a of anders moet jy 'n talent* silwer betaal.'

40 En terwyl u kneg besig was, het die man verdwyn." Die koning van Israel het vir hom gesê: "So sal jou oordeel wees. Jy het dit oor jousef gebring."

41 Hy het die verband toe dadelik van sy oë afgehaal, en die koning van Israel het hom herken en besef dat hy een van die profete is.^b **42** Hy het vir hom gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Omdat jy die man laat ontsnap het wat ek gesê het doodgemaak moet word,^c sal jy in sy plek doodgemaak word,^d en jou volk in die plek van sy volk.'^e **43** Daarna het die koning van Israel huis toe gegaan na Samari'a,^f ontsteld en mismoedig.

21 Ná hierdie dinge het die volgende gebeur: Nabot, die Jisreëliet, het 'n wingerd gehad in Jis'reël^g langs die paleis van koning Agab van Samari'a.

2 Agab het vir Nabot gesê: "Gee my jou wingerd sodat ek 'n groentetuin daarvan kan maak, want dit is naby my huis. Dan sal ek vir jou 'n beter wingerd in die plek daarvan gee. Of as jy wil, sal ek vir jou die waarde daarvan in geld gee." **3** Maar Nabot het vir Agab gesê: "Omdat ek weet hoe Jehovah daarvoor voel, sal ek nie eers daaraan dink om die erfdedeel van my voorvaders vir u te gee nie."^h

4 Toe het Agab in sy huis ingegaan, en hy was ontsteld en mis-

20:39 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

moedig omdat Nabot, die Jisreëliet, gesê het: "Ek sal nie die erfdeel van my voorvaders vir u gee nie." Toe het hy op sy bed gaan lê met sy gesig na die muur en geweer om te eet.

5 Sy vrou Ise'bel^a het na hom toe gegaan en vir hom gevra: "Hoekom is jy so hartseer dat jy nie wil eet nie?" **6** Hy het geantwoord: "Omdat ek vir Nabot, die Jisreëliet, gesê het: 'Verkoop jou wingerd aan my. Of as jy wil, sal ek vir jou 'n ander wingerd in die plek daarvan gee.' Maar hy het gesê: 'Ek sal nie my wingerd vir u gee nie.'"

7 Sy vrou Ise'bel het vir hom gesê: "Is jy nie koning oor Israel nie? Staan op, eet en laat jou hart vrolik wees. Ek sal vir jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, gee."^b **8** Toe het sy briewe in Agab se naam geskryf en dit met sy seël verseël^c en dit aan die ouermanne^d en die heersers gestuur wat in Nabot se stad gewoon het. **9** Sy het in die briewe geskryf: "Kondig 'n vas aan, en laat Nabot voor die volk sit. **10** En laat twee slegte manne voor hom sit en teen hom getuig^e en sê: 'Jy het God en die koning vervloek!'^f Bring hom dan uit en gooi hom met klippe dood."^g

11 Toe het die manne van sy stad, die ouermanne en die heersers wat in sy stad gewoon het, presies gedoen wat geskryf was in die briewe wat Ise'bel aan hulle gestuur het. **12** Hulle het 'n vas aangekondig en Nabot voor die volk laat sit. **13** Toe het twee van die slegte manne ingegaan en voor hom gaan sit en voor die volk teen Nabot getuig en gesê: "Nabot het God en die koning vervloek!"^h Daarna het hulle hom na die buitewyke van die stad geneem en hom met klippe doodgegooi.ⁱ **14** Hulle het toe

HFST. 21

a 1Kn 16:31
1Kn 18:4
1Kn 19:2
1Kn 21:25

b Mi 2:1
Mi 7:3

c Ne 9:38
Est 8:8

d De 16:18

e Eks 20:16
De 17:6

f Eks 22:28

g Le 24:16
Joh 10:33

h Am 5:12
Hab 1:4

i 2Kn 9:25, 26
Pr 4:1

Tweede kol.

a Pr 5:8
Pr 8:14
Hab 1:13

b 1Kn 21:7

c 1Kn 17:1

d 1Kn 16:29

e Ge 4:8, 10

f De 5:21
Hab 2:9

g 1Kn 22:37, 38
2Kn 9:25, 26

h 1Kn 18:17
Am 5:10

i 1Kn 16:30

j 2Kn 10:7, 17

k 2Kn 9:7-9

l 1Kn 15:25-29

m 1Kn 16:3, 11

vir Ise'bel 'n boodskap gestuur en gesê: "Nabot is met klippe doodgegooi."^a

15 Toe Ise'bel hoor dat Nabot met klippe doodgegooi is, het sy vir Agab gesê: "Staan op, gaan vat die wingerd van Nabot, die Jisreëliet,^b wat hy geweer het om aan jou te verkoop, want Nabot lewe nie meer nie. Hy is dood." **16** Toe Agab hoor dat Nabot dood is, het hy opgestaan om die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, vir hom te vat.

17 Maar Jehovah het vir Eli'a,^c die Tisbiet, gesê: **18** "Staan op en gaan na Agab, die koning van Israel, wat in Samari'a is.^d Hy is in die wingerd van Nabot, want hy het daarheen gegaan om dit in besit te neem. **19** Jy moet vir hom sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Het jy 'n man vermoor^e en sy eiendom geneem?"'^f Dan moet jy vir hom sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Op die plek waar die honde die bloed van Nabot opgelek het, sal die honde jou bloed oplek."^g

20 Agab het vir Eli'a gesê: "My vyand,^h jy het my toe gekry!" Hy het geantwoord: "Ek het u gekry. God het gesê: 'Omdat jy vasbeslote is om te doen wat sleg is in die oë van Jehovah,ⁱ **21** sal ek rampspoed oor jou bring, en ek sal jou uitroei en elkeen wat manlik^{*} is van die huis van Agab uitwis,^j insluitende die hulpeloses en die swakkes in Israel.^k **22** En ek sal jou huis maak soos die huis van Jero'beam,^l die seun van Nebat, en soos die huis van Baäsa,^m die seun van Ahi'a, want jy het my baie kwaad gemaak en jy het Israel laat sondig.'

21:21 *Lett. "enigiemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys.

23 En Jehovah het oor Ise'bel gesê: 'Die honde sal Ise'bel opeet op die stuk grond in Jis'reël.^a **24** Enigiemand van die huis van Agab wat in die stad sterf, sal deur die honde opgeëet word, en enigiemand wat in die veld sterf, sal deur die voëls van die hemel opgeëet word.^b **25** Daar was nog nooit iemand wat so vasbeslote was om te doen wat sleg is in die oë van Jehovah soos Agab nie,^c en hy is aangehits deur sy vrou Ise'bel.^d **26** Hy het afskuwelik opgetree deur die walglike afgode* te aanbid, net soos al die Amoriete gedoen het wat Jehovah voor die Israëliete uit verdryf het."^e

27 Toe Agab hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur en saklinne gedra. En hy het begin vas en in saklinne gaan lê en ook terneergedruk rondgeloop. **28** Jehovah het toe vir Eli'a, die Tisbiet, gesê: **29** "Het jy gesien hoe Agab homself ter wille van my verneder het?"^f Omdat hy homself voor my verneder het, sal ek die rampspoed nie in sy leeftyd bring nie. Ek sal die rampspoed oor sy huis in die tyd van sy seun bring."^g

22 Daar was drie jaar lank geen oorlog tussen Sirië en Israel nie. **2** In die derde jaar het koning Jo'safat^h van Juda na die koning van Israel gegaan.ⁱ **3** Toe het die koning van Israel vir sy knegte gesê: "Julle weet dat Ra'mot-Gi'lead/ aan ons behoort. En tog doen ons niks om dit van die koning van Sirië terug te vat nie."^j **4** Hy het toe vir Jo'safat gevra: "Sal jy saam met my gaan veg by

21:26 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 21

a 2Kn 9:10, 35

b 1Kn 14:11
1Kn 16:4

c 1Kn 16:30

d 1Kn 16:31
2Kr 22:2, 3
Op 2:20e Eks 23:28
De 9:5

f Ps 78:34

g 2Kn 9:25, 26
2Kn 10:7, 11

HFST. 22

h 1Kn 15:24

i 2Kr 18:2, 3

j Jos 20:8, 9
1Kn 4:7, 13

Tweede kol.

a 2Kn 3:7
2Kr 19:2b Nu 27:21
2Kr 18:4, 5c 2Kn 3:11
2Kr 18:6, 7

d 1Kn 18:4

e 1Kn 21:20
2Kr 36:16f Jes 30:9, 10
Jer 38:4

g 2Kr 18:8-11

h Ese 13:2, 3

Ra'mot-Gi'lead?" Jo'safat het die koning van Israel geantwoord: "Ek sal saam met jou gaan. My volk is jou volk. My perde is jou perde."^a

5 Maar Jo'safat het vir die koning van Israel gesê: "Vra Jehovah eers vir leiding, asseblief."^b **6** Die koning van Israel het die profete, ongeveer 400 manne, dus bymeakaergeroep en vir hulle gevra: "Moet ek teen Ra'mot-Gi'lead oorlog voer of nie?" Hulle het gesê: "Gaan, want Jehovah sal dit in u hand gee."

7 Jo'safat het toe gesê: "Is daar nie nog 'n profeet van Jehovah hier nie? Laat ons hom ook vra."^c **8** Die koning van Israel het vir Jo'safat gesê: "Daar is nog een man deur wie ons Jehovah se leiding kan vra,^d maar ek haat hom,^e want hy profeteer nooit goeie dinge oor my nie, net slegte dinge.^f Sy naam is Miga'ja, die seun van Jimla." Maar Jo'safat het gesê: "Die koning moenie so sê nie."

9 Toe het die koning van Israel 'n hofbeampte geroep en gesê: "Gaan haal gou vir Miga'ja, die seun van Jimla."^g **10** Die koning van Israel en Jo'safat, die koning van Juda, het elkeen in koninklike klere op sy troon gesit. Hulle het by die dorsvloer gesit wat by die ingang van die poort van Samari'a was, en al die profete het voor hulle geprofeteer.^h **11** Toe het Sedi'ki'a, die seun van Kena'ana,ysterhorings gemaak en gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Met hierdie horings sal u die Siriërs wond* en hulle vernietig.'" **12** Al die ander profete het dieselfde geprofeteer en gesê: "Gaan na Ra'mot-Gi'lead, en u sal suksesvol wees. Jehovah sal dit in u hand gee."

22:11 *Of "stoot".

13 Die boodskapper wat Miga'ja gaan roep het, het toe vir hom gesê: "Die woorde van al die profete is ten gunste van die koning. Laat u woorde asseblief soos hulle woorde wees, en sê tog iets gunstigs."^a **14** Maar Miga'ja het gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, wat Jehovah ook al vir my sê, dít sal ek sê." **15** Toe het hy na die koning gegaan, en die koning het vir hom gevra: "Miga'ja, moet ons teen Ra'mot-Gi'lead oorlog voer of nie?" Hy het dadelik gesê: "Gaan, u sal suksesvol wees. Jehovah sal dit in u hand gee." **16** Die koning het toe vir hom gesê: "Hoeveel keer moet ek jou laat sweer dat jy vir my in die naam van Jehovah net die waarheid sal vertel?" **17** Hy het gesê: "Ek sien al die Israëliete verstrooi op die berge,^b soos skape wat nie 'n herder het nie. Jehovah het gesê: 'Hulle het nie 'n leier nie. Laat elkeen in vrede na sy huis teruggaan.'"

18 Toe het die koning van Israel vir Jo'safat gesê: "Het ek nie vir jou gesê dat hy nie goeie dinge oor my sal profeteer nie, maar net slegte dinge?"^c

19 Miga'ja het gesê: "Hoor die woord van Jehovah: Ek het Jehovah op sy troon sien sit,^d en die hele leërmag van die hemel het by hom gestaan, aan sy regterkant en aan sy linkerkant.^e **20** Jehovah het toe gevra: 'Wie sal Agab mislei, sodat hy na Ra'mot-Gi'lead sal gaan en daar sal sterf?' En die een het dít gesê en die ander het dát gesê. **21** 'n Engel^f het toe vorentoe gekom en voor Jehovah gaan staan en gesê: 'Ek sal hom mislei.' Jehovah het vir hom gevra: 'Hoe sal jy dit doen?' **22** Hy het geantwoord: 'Ek sal

HFST. 22

a 2Kr 18:12-16

b De 28:15, 25

c 2Kr 18:17

d Jes 6:1

Ese 1:26

e 2Kr 18:18-22

Job 1:6

Da 7:9, 10

Mt 18:10

Op 5:11

f Ps 104:4

Heb 1:7, 14

Tweede kol.

a 1Kn 22:6

b Ese 14:9

c 1Kn 20:42

d 2Kr 18:23-27

e Heb 11:32, 36

f Nu 16:28, 29

g 2Kr 18:28-32

h 2Kr 35:22

i 1Kn 20:1

gaan en 'n bedrieglike gees in die mond van al sy profete word.^a Toe het hy gesê: 'Jy sal hom mislei, en jy sal suksesvol wees. Gaan doen dit.' **23** En nou het Jehovah 'n bedrieglike gees in die mond van al hierdie profete van u geplaas,^b maar in werklikheid het Jehovah rampspoed vir u voorspel."^c

24 Sedeki'a, die seun van Ke-na'ana, het toe na Miga'ja gegaan en hom op die wang geslaan en gesê: "Sê jy dat die gees van Jehovah van my af weggegaan het* om met jou te praat?"^d **25** Miga'ja het geantwoord: "Jy sal daarvan seker wees op die dag dat jy in die binnekamer ingaan om weg te kruip." **26** Toe het die koning van Israel gesê: "Neem Miga'ja en gee hom oor aan Amon, die stadshoof, en Joas, die koning se seun. **27** Sê vir hulle: 'Dít is wat die koning sê: "Sit hierdie man in die tronk^e en gee hom 'n kleiner porsie brood en water totdat ek in vrede terugkom.'"^f **28** Maar Miga'ja het gesê: "As u in vrede terugkom, het Jehovah nie met my gepraat nie."^f Hy het bygevoeg: "Laat almal wat hier is,^g my woorde onthou."

29 Daarna het die koning van Israel en Jo'safat, die koning van Juda, na Ra'mot-Gi'lead gegaan.^g **30** Die koning van Israel het vir Jo'safat gesê: "Wanneer ons gaan veg, sal ek my vermom, maar jy moet jou koninklike klere aantrek." Toe het die koning van Israel hom vermom^h en gaan veg. **31** Die koning van Sirië het die volgende bevel aan die 32 bevelvoerders van sy strydwaensⁱ gegee: "Val net die koning van Israel aan,

22:24 *Lett. "Waar het die gees van Jehovah van my af weggegaan". **22:28** *Lett. "alle volke".

niemand anders nie, dit maak nie saak of hulle belangrik of onbelangrik is nie." **32** Toe die bevelvoerders van die strydwaens Jo'safat sien, het hulle gedink: 'Dit is vir seker die koning van Israel.' Daarom het hulle op hom afgestorm om teen hom te veg, en Jo'safat het om hulp begin roep. **33** Toe die bevelvoerders van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Israel is nie, het hulle onmiddellik opgehou om hom te volg.

34 Maar 'n man het 'n pyl afgeskiet en die koning van Israel toevallig* raak geskiet tussen twee dele van sy pantser.[#] Die koning het toe vir sy strydwadyrwer gesê: "Draai om en neem my uit die geveg,[^] want ek is ernstig gewond."^a **35** Die geveg was baie intens en het die hele dag aangehou, en die koning moes regop gehou word in die strydwa met sy gesig na die Siriërs. Die bloed van die wond het in die strydwa uitgeloopt, en hy het teen die aand gesterf.^b **36** Teen sonder is daar in die kamp uitgeroep: "Laat elkeen na sy stad gaan! Laat elkeen na sy land gaan!"^c **37** So het die koning gesterf, en hy is na Samari'a geneem. Hulle het die koning in Samari'a begrawe. **38** Toe hulle die strydwa by die dam van Samari'a afgewas het, het die honde sy bloed opgelek, en die prostitute het daar gebad,* net soos Jehovah gesê het.^d

39 Wat die res van die geskiedenis van Agab betref, alles wat hy gedoen het en die ivoor-

22:34 *Of "in sy onskuld". [#]'n Beskermerende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is. [^]Lett. "kamp". **22:38** *Of moontlik "waar die prostitute gebad het, het die honde sy bloed opgelek".

HFST. 22

a 2Kr 18:33, 34

b 1Kn 20:42

c 1Kn 22:17

d 1Kn 21:18, 19

Tweede kol.

a 1Kn 10:22
Ese 27:15

b 1Kn 16:28

c 2Kn 1:2
2Kr 20:35d 1Kr 3:10
2Kr 17:1
2Kr 20:31
Mt 1:8e 1Kn 15:11
2Kr 14:11
2Kr 15:8

f 2Kr 17:3

g De 12:14
1Kn 14:23
1Kn 15:14h 2Kr 18:1
2Kr 19:2i De 23:17, 18
1Kn 14:24

j 1Kn 15:11, 12

k Ge 36:1, 9

l 2Sa 8:14
2Kn 8:20-22
Ps 108:9

m 1Kn 10:22

n 1Kn 9:26
2Kr 20:35-37

paleis^a wat hy gebou het en al die stede wat hy gebou het, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **40** Agab het gesterf,^{*b} en sy seun Aha'sia^c het in sy plek koning geword.

41 Jo'safat,^d die seun van Asa, het in die vierde jaar van koning Agab van Israel koning oor Juda geword. **42** Jo'safat was 35 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 25 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Asu'ba, die dogter van Silhi. **43** Hy het dieselfde weg gevolg as sy pa, Asa.^e Hy het nie daarvan afgewyk nie, en hy het gedoen wat reg is in die oë van Jehovah.^f Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie, en die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes geoffer en offerrook laat opgaan.^g **44** Jo'safat het vreedsame betrekkinge met die koning van Israel behou.^h **45** Wat die res van die geskiedenis van Jo'safat betref, sy magtige dade en hoe hy oorlog gevoer het, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **46** Hy het ook die res van die manlike tempelprostituteⁱ verwyder wat uit die tyd van sy pa, Asa, oorgebly het.^j

47 Op daardie tyd was daar nie 'n koning in Edom nie.^k 'n Plaasvervanger het as koning opgetree.^l

48 Jo'safat het ook Tarsiskepe* gebou om na Ofir toe te gaan vir goud,^m maar die skepe het nie gegaan nie, want hulle is by E'seon-Ge'berⁿ erg beskadig. **49** Toe het Aha'sia, die seun van Agab, vir Jo'safat gesê: "Laat my knegte saam met

22:40 *Lett. "is by sy vaders neergeleë". **22:48** *Sien Woordelys.

u knegte op die skepe gaan,” maar Jo’safat het nie ingestem nie.

50 Jo’safat het gesterf.^a en hy is by sy voorvaders in die Stad van Dawid, sy voorvader, begrawe. En sy seun Joram^b het in sy plek koning geword.

51 Aha’sia,^c die seun van Agab, het in die 17de jaar van koning Jo’safat van Juda koning

22:50 *Lett. “is by sy vaders neergelê”.

HFST. 22

- a 1Kn 2:10
b 2Kn 8:16
2Kr 21:1, 5
c 2Kn 1:2

Tweede kol.

- a 1Kn 16:30
b 1Kn 21:25
c 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
d 1Kn 16:31, 32
2Kn 1:2
e Eks 20:3
Eks 34:14

oor Israel geword in Samari’a, en hy het twee jaar lank oor Israel regeer. **52** En hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë en het dieselfde weg gevolg as sy pa^a en sy ma^b en as Jero’beam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig het.^c **53** Hy het aangehou om Baäl te dien^d en voor hom neer te buig en om Jehovah, die God van Israel, aanstoot te gee,^e net soos sy pa gedoen het.

DIE TWEDE BOEK VAN KONINGS

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Elia voorspel Ahasia se dood (1-18)</p> <p>2 Elia in windstorm opgeneem (1-18)
Elisa kry Elia se ampskleed (13, 14)
Elisa maak Jerigo se water gesond (19-22)
Bere maak seuns van Bet-El dood (23-25)</p> <p>3 Joram, koning van Israel (1-3)
Moab kom in opstand teen Israel (4-25)
Moab verslaan (26, 27)</p> <p>4 Elisa laat weduwee se olie meer word (1-7)
Sunammitiese vrou se gasvryheid (8-16)
Vrou met seun beloon; hy sterf (17-31)
Elisa wek dooie seun op (32-37)
Elisa maak bredie eetbaar (38-41)
Elisa laat brood meer word (42-44)</p> <p>5 Elisa genees Naäman se melaatsheid (1-19)
Gierige Gehasi met melaatsheid getref (20-27)</p> <p>6 Elisa laat bylkop dryf (1-7)
Elisa en Siriërs (8-23)</p> | <p>Oë van Elisa se dienaar oopgemaak (16, 17)
Siriërs met blindheid getref (18, 19)
Hongersnood in Samaria (24-33)</p> <p>7 Elisa voorspel einde van hongersnood (1, 2)
Kos gevind in verlate Siriese kamp (3-15)
Elisa se profesie vervul (16-20)</p> <p>8 Sunammitiese vrou se grond teruggegee (1-6)
Elisa, Ben-Hadad en Hasael (7-15)
Joram, koning van Juda (16-24)
Ahasia, koning van Juda (25-29)</p> <p>9 Jehu gesalf as koning van Israel (1-13)
Jehu maak Joram en Ahasia dood (14-29)
Isebel doodgemaak; honde vreet haar op (30-37)</p> <p>10 Jehu maak almal in huis van Agab dood (1-17)
Jonadab sluit by Jehu aan (15-17)
Jehu maak aanbidders van Baäl dood (18-27)
Oorsig van Jehu se bewind (28-36)</p> |
|--|---|

- 11 Atalia maak haarself koningin (1-3)
Joas in geheim koning
gemaak (4-12)
Atalia doodgemaak (13-16)
Jojada bevorder ware
aanbidding (17-21)
- 12 Joas, koning van Juda (1-3)
Joas herstel tempel (4-16)
Aanval deur Siriërs (17, 18)
Joas doodgemaak (19-21)
- 13 Joahas, koning van Israel (1-9)
Joas, koning van Israel (10-13)
Elisa toets Joas se ywer (14-19)
Elisa sterf; sy beendere maak man
weer lewend (20, 21)
Elisa se laaste profesie vervul (22-25)
- 14 Amasia, koning van Juda (1-6)
Oorlog teen Edom en teen
Israel (7-14)
Joas van Israel sterf (15, 16)
Amasia sterf (17-22)
Jerobeam II, koning van Israel (23-29)
- 15 Asarja, koning van Juda (1-7)
Israel se laaste konings:
Sagaria (8-12), Sallum (13-16),
Menahem (17-22), Pekahia (23-26),
Peka (27-31)
Jotam, koning van Juda (32-38)
- 16 Agas, koning van Juda (1-6)
Agas se omkoopgeskenk aan
Assiriërs (7-9)
Agas maak heidense
altaar (10-18)
Agas sterf (19, 20)
- 17 Hosea, koning van Israel (1-4)
Israel verslaan (5, 6)
Israel in ballingskap weggeneem
weens afvalligheid (7-23)
Assiriërs laat uitlanders in
Samaritaanse stede woon (24-26)
Samaritane se gemengde
godsdienste (27-41)
- 18 Hiskia, koning van Juda (1-8)
Israel verslaan – oorsig (9-12)
Sanherib val Juda aan (13-18)
Rabsake tart Jehovah uit (19-37)
- 19 Hiskia raadpleeg God deur middel
van Jesaja (1-7)
Sanherib dreig Jerusalem (8-13)
Hiskia se gebed (14-19)
Jesaja dra God se antwoord
oor (20-34)
Engel maak 185 000 Assiriërs
dood (35-37)
- 20 Hiskia word siek en herstel (1-11)
Boodskappers van Babilon (12-19)
Hiskia sterf (20, 21)
- 21 Manasse, koning van Juda;
sy sondes (1-18)
Jerusalem se vernietiging
voorspel (12-15)
Amon, koning van Juda (19-26)
- 22 Josia, koning van Juda (1, 2)
Instruksies vir herstel van
tempel (3-7)
Wetboek gevind (8-13)
Hulda voorspel rampspoed (14-20)
- 23 Josia bevorder ware aanbidding (1-20)
Pasga gevier (21-23)
Josia doen meer om ware
aanbidding te bevorder (24-27)
Josia sterf (28-30)
Joahas, koning van Juda (31-33)
Jojakim, koning van Juda (34-37)
- 24 Jojakim se opstand en dood (1-7)
Jojagin, koning van Juda (8, 9)
Eerste groep gevangenes na
Babilon geneem (10-17)
Sedekia, koning van Juda;
sy opstand (18-20)
- 25 Nebukadnesar beleër Jerusalem (1-7)
Jerusalem en sy tempel vernietig;
tweede groep in ballingskap
weggeneem (8-21)
Gedalja word goewerneur (22-24)
Gedalja vermoor; volk vlug
na Egipte (25, 26)
Jojagin in Babilon vrygelaat (27-30)

1 Ná Agab se dood het Moab^a teen Israel in opstand gekom.

2 In daardie tyd het Aha'sia in Samari'a deur die traliewerk van sy dakvertrek geval en hom beseer. Hy het toe boodskappers uitgestuur en vir hulle gesê: "Gaan raadpleeg Baäl-Sebub, die god van Ekron,^b om uit te vind of ek van hierdie besering sal herstel."^c **3** Maar die engel van Jehovah het vir Eli'a,^d die Tisbiet, gesê: "Staan op, gaan na die boodskappers van die koning van Samari'a en vra vir hulle: 'Is dit omdat daar nie 'n God in Israel is nie dat julle Baäl-Sebub, die god van Ekron, gaan raadpleeg?'^e **4** Daarom sê Jehovah: "Jy sal nie opstaan van die bed waarop jy lê nie. Jy sal beslis sterf."^f Toe het Eli'a weggegaan.

5 Toe die boodskappers na hom toe terugkom, het hy onmiddellik vir hulle gevra: "Hoe kom het julle teruggekome?"

6 Hulle het geantwoord: "'n Man het na ons toe gekome en vir ons gesê: 'Gaan terug na die koning wat julle gestuur het en sê vir hom: "Dit is wat Jehovah sê: 'Is dit omdat daar nie 'n God in Israel is nie dat julle Baäl-Sebub, die god van Ekron, gaan raadpleeg? Daarom sal jy nie opstaan van die bed waarop jy lê nie. Jy sal beslis sterf.'"^g

7 Hy het vir hulle gevra: "Hoe het die man gelyk wat na julle toe gekome het en hierdie dinge vir julle gesê het?" **8** En hulle het vir hom gesê: "Dit was 'n man met 'n harige kleed^g en 'n leerlyfband om sy middel."^h Hy het dadelik gesê: "Dit was Eli'a, die Tisbiet."

9 Die koning het toe 'n hoof oor 50 soldate met sy 50 solda-

HFST. 1

a Ge 19:36, 37
2Sa 8:2
Ps 60:8

b Jos 13:2, 3
1Sa 5:10

c 2Kn 1:16

d 1Kn 17:1
1Kn 18:36

e Jes 8:19
Jer 2:11

f 1Kr 10:13, 14

g 1Kn 19:19
Sag 13:4
Heb 11:32, 37

h Mt 3:4

Tweede kol.

a De 33:1

b Nu 11:1
Nu 16:35
Lu 9:54
Jud 7

c Jos 13:2, 3

d 2Kn 1:3

te na hom toe gestuur. Hy het na Eli'a toe opgeklim, wat op die top van die berg gesit het, en vir hom gesê: "Man van die ware God,^a die koning sê: 'Kom af.'" **10** Maar Eli'a het vir die hoof oor die 50 gesê: "As ek 'n man van God is, laat vuur uit die hemel kom^b en jou en jou 50 soldate verteer." En vuur het uit die hemel gekome en hom en sy 50 soldate verteer.

11 Toe het die koning nog 'n hoof oor 50 soldate met sy 50 soldate na hom toe gestuur. Hy het vir hom gaan sê: "Man van die ware God, dít is wat die koning sê: 'Kom dadelik af.'" **12** Maar Eli'a het vir hulle gesê: "As ek 'n man van die ware God is, laat vuur uit die hemel kom en jou en jou 50 soldate verteer." En vuur van God het uit die hemel gekome en hom en sy 50 soldate verteer.

13 Toe het die koning 'n derde hoof oor 50 soldate met sy 50 soldate gestuur. Maar die derde hoof oor 50 het opgeklim en voor Eli'a gekniel en hom om genade gesmeek en vir hom gesê: "Man van die ware God, laat my lewe en die lewe van hierdie 50 knegte van u asseblief kosbaar wees in u oë. **14** Vuur uit die hemel het die twee vorige hoofde oor 50 en hulle groepe van 50 verteer, maar laat my lewe nou kosbaar wees in u oë."

15 Toe het die engel van Jehovah vir Eli'a gesê: "Gaan saam met hom af. Moenie vir hom bang wees nie." En hy het opgestaan en saam met hom na die koning toe afgegaan. **16** Eli'a het toe vir die koning gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Jy het boodskappers gestuur om Baäl-Sebub, die god van Ekron,^c te raadpleeg. Is dit omdat daar nie 'n God in Israel is nie?'^d Hoe kom het jy hom nie geraadpleeg

1:3 *Betekens "my God is Jehovah".

nie? Daarom sal jy nie opstaan van die bed waarop jy lê nie. Jy sal beslis sterf.” **17** En hy het gesterf, net soos Jehovah deur middel van Eli'a gesê het. En omdat hy nie 'n seun gehad het nie, het Joram^a in sy plek koning geword in die tweede jaar van Joram,^b die seun van Jo'safat, die koning van Juda.

18 Die res van die geskiedenis van Aha'sia^c en wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel.

2 Kort voordat Jehovah Eli'a^d in 'n windstorm na die hemel^e sou opneem, het Eli'a en Eli'sa^f uit Gilgal^g vertrek. **2** Eli'a het vir Eli'sa gesê: “Bly asseblief hier, want Jehovah het my na Bet-El gestuur.” Maar Eli'sa het gesê: “So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat u lewe, ek sal u nie verlaat nie.” Hulle het toe na Bet-El^h gegaan.

3 Toe het die seuns van die profete^{*} wat in Bet-El was, na Eli'sa toe gegaan en vir hom gevra: “Weet jy dat Jehovah vandag jou meester as hoof oor jou gaan wegneem?”ⁱ Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Bly stil.”

4 Eli'a het toe vir hom gesê: “Eli'sa, bly asseblief hier, want Jehovah het my na Je'rigo^j gestuur.” Maar hy het gesê: “So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat u lewe, ek sal u nie verlaat nie.” Daarna het hulle in Je'rigo aangekom. **5** Toe het die seuns van die profete wat in Je'rigo was, na Eli'sa toe gegaan en vir hom gevra: “Weet jy dat Jehovah vandag jou meester as hoof oor jou gaan weg-

1:17 *D.w.s. Ahasia se broer. **2:1, 11** *Of “in die lug”. **2:3** *Die seuns van die profete” verwys blykbaar na 'n skool vir profete of na 'n vereniging van profete.

HFST. 1

a 2Kn 3:1
2Kn 9:22

b 2Kn 8:16

c 1Kn 22:51

HFST. 2

d 1Kn 17:1

e 2Kn 2:11

f 1Kn 19:16

g 2Kn 4:38

h Ge 28:18, 19
1Kn 12:28, 29
2Kn 2:23

i 1Kn 19:16

j Jos 6:26
1Kn 16:34

Tweede kol.

a 1Kn 19:19

b Eks 14:21, 22
Jos 3:17
2Kn 2:13, 14

c De 21:17

d De 34:9
1Kn 19:16
Lu 1:17e 2Kn 6:17
Ps 68:17f 2Kr 21:5, 12
Joh 3:13

g 2Kn 13:14

h 2Sa 1:11, 12
Job 1:19, 20i 1Kn 19:19
2Kn 1:8
Sag 13:4
Mt 3:4

neem?” Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Bly stil.”

6 Eli'a het toe vir hom gesê: “Bly asseblief hier, want Jehovah het my na die Jordaanrivier gestuur.” Maar hy het gesê: “So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat u lewe, ek sal u nie verlaat nie.” Daarna het hulle al twee verder gegaan. **7** En 50 van die seuns van die profete het ook gegaan en op 'n afstand gestaan en kyk terwyl hulle twee by die Jordaanrivier gestaan het. **8** Toe het Eli'a sy ampskleed^a geneem en dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, en hulle twee het op droë grond deur die rivier gegaan.^b

9 Toe hulle aan die oorkant kom, het Eli'a vir Eli'sa gesê: “Sê vir my wat ek vir jou moet doen voordat ek van jou af wegeneem word.” Eli'sa het gevra: “Kan ek asseblief 'n dubbelle porsie^c van u gees^d kry?” **10** Hy het geantwoord: “Dit is 'n moeilike ding wat jy gevra het. As jy my sien wanneer ek van jou af wegeneem word, sal dit met jou gebeur, maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie.”

11 Terwyl hulle geloop en praat het, het 'n strydwa van vuur en perde van vuur^e skielik verskyn en hulle van mekaar geskei, en Eli'a het in die windstorm na die hemel^{*} opgevaar.^f

12 Toe Eli'sa dit sien, het hy uitgeroep: “My vader, my vader! Die strydwa van Israel en sy perderuiters!”^g Toe hy hom nie meer kon sien nie, het hy sy klere geskeur.^h **13** Daarna het hy Eli'a se ampskleedⁱ opgetel wat van hom afgeval het en teruggegaan en op die oewer van die Jordaanrivier gaan

2:9 *Of “twee dele”.

staan. **14** Toe het hy Eli'a se ampskleed geneem wat van hom afgeval het en die water daarmee geslaan en gesê: "Waar is Jehovah, die God van Eli'a?" Toe hy die water slaan, is dit na links en na regs verdeel, en Eli'sa het deurgegaan.^a

15 Toe die seuns van die profete wat in Je'rigo was, hom van ver af sien, het hulle gesê: "Die gees van Eli'a rus op Eli'sa."^b Daarom het hulle na hom toe gegaan en voor hom na die grond toe neergebuig. **16** Hulle het vir hom gesê: "Hier is 50 bekwame manne by u knegte. Laat hulle asseblief u meester gaan soek. Miskien het die gees* van Jehovah hom opgelig en hom toe op een van die berge of in een van die valleie neergesit."^c Maar hy het gesê: "Moet hulle nie stuur nie." **17** Hulle het so aangehou dat hy ongemaklik begin voel het en gesê het: "Stuur hulle." Hulle het die 50 manne dus gestuur, en hulle het drie dae lank gesoek, maar hulle het hom nie gevind nie. **18** Hulle het na hom toe teruggekeer in Je'rigo,^d waar hy gebly het, en hy het vir hulle gevra: "Het ek nie vir julle gesê dat julle nie moet gaan nie?"

19 Ná verloop van tyd het die manne van die stad vir Eli'sa gesê: "Soos my meester kan sien, is die stad op 'n goeie plek geleë,^e maar die water is sleg, en die grond is onvrugbaar."^f **20** Daarna het hy gesê: "Gaan haal vir my 'n nuwe bakkie en sit sout daarin." Toe het hulle dit vir hom gebring. **21** Daarna het hy na die bron van die water gegaan en sout daarin gegooi^f en gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Ek het hierdie water gesond gemaak. Dit sal nie

2:16 *Of "wind". 2:19 *Of moontlik "veroorzaak miskrame".

HFST. 2

a Jos 3:13
2Kn 2:8b Nu 11:24, 25
Nu 27:18, 20
2Kn 2:9

c 1Kn 18:11, 12

d Jos 6:26
1Kn 16:34

e De 34:1-3

f Eks 15:23-25
2Kn 4:38-41

Tweede kol.

a 2Kr 36:15, 16
Lu 10:16

b Spr 17:12

c 2Kn 1:10

d 2Kn 4:25

HFST. 3

e 2Kn 1:17

f 1Kn 16:30-33

g 1Kn 12:28-30

h 1Kn 22:37

i 2Sa 8:2

meer die dood of onvrugbaarheid* veroorsaak nie." **22** En die water is tot vandag toe nog drinkbaar, net soos Eli'sa gesê het.

23 Hy het van daar af na Bet-El gegaan. Op pad het jong seuns uit die stad gekom en hom begin spot^a en die hele tyd vir hom gesê: "Gaan op, jou kaalkop! Gaan op, jou kaalkop!"

24 Uiteindelik het hy omgedraai en na hulle gekyk en hulle in die naam van Jehovah vervloek. Toe het twee bere*^b uit die woud gekom en 42 van die kinders verskeur.^c **25** Van daar af het hy na die berg Karmel^d gegaan en toe na Samari'a teruggekeer.

3 Joram,^e die seun van Agab, het in die 18de jaar van koning Jo'safat van Juda koning oor Israel geword in Samari'a, en hy het 12 jaar lank regeer.

2 Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, maar nie so erg soos sy pa en ma nie, want hy het die heilige pilaar van Baäl verwyder wat sy pa gemaak het.^f **3** Maar hy het aangehou om dieselfde sondes te pleeg wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het.^g Hy het nie daarvan afgewyk nie.

4 Mesa, die koning van Moab, het met skape geboer, en hy het altyd 100 000 lamms en 100 000 ongeskeerde ramme aan die koning van Israel as skatting* betaal. **5** Toe Agab gesterf het,^h het die koning van Moab teen die koning van Israel in opstand gekom.ⁱ **6** Daarom het koning Joram in daardie tyd uit Samari'a vertrek en die hele leërmag van Israel bymekaargeroep. **7** Hy het ook die volgende boodskap aan koning

2:21 *Of moontlik "miskrame". 2:24 *Lett. "berinne". 3:4 *Sien Woordelys.

Jo'safat van Juda gestuur: "Die koning van Moab het teen my in opstand gekom. Sal jy saam met my teen Moab gaan oorlog voer?" Hy het geantwoord: "Ja, ek sal.^a Ek sal saam met jou gaan. My volk is jou volk. My perde is jou perde."^b **8** Daarna het hy gevra: "Met watter pad sal ons gaan?" Hy het geantwoord: "Met die pad van die wildernis van Edom."

9 Die koning van Israel het toe saam met die koning van Juda en die koning van Edom^c gegaan. Nadat hulle sewe dae lank met 'n ompad getrek het, was daar nie water vir die kamp en vir die diere wat by hulle was nie. **10** Die koning van Israel het gesê: "Hoe verskriklik! Jehovah het hierdie drie konings bymekaargebring net om hulle in die hand van Moab te gee!" **11** Toe het Jo'safat gevra: "Is daar nie 'n profeet van Jehovah hier deur wie ons Jehovah kan raadpleeg nie?"^d Een van die knegte van die koning van Israel het geantwoord: "Daar is Eli'sa,^e die seun van Safat, wat Eli'a^f se dienaar was."^g **12** Jo'safat het gesê: "Die woord van Jehovah is met hom." Jo'safat en die koning van Israel en die koning van Edom het dus na hom toe gegaan.

13 Eli'sa het vir die koning van Israel gesê: "Wat het ek met jou te doen?"^g Gaan na die profete van jou pa en na die profete van jou ma."^h Maar die koning van Israel het vir hom gesê: "Nee, want dit is Jehovah wat hierdie drie konings bymekaargebring het om hulle in die hand van Moab te gee." **14** Eli'sa het toe gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, die God van die leer-

3:11 *Of "wat altyd water op Elia se hande uitgegooi het". **3:13** *Lett. "Wat vir my en vir jou?"

HFST. 3

a 2Kr 19:2

b 1Kn 22:3, 4

c 2Sa 8:14

d 1Kn 22:7

e 1Kn 19:16
2Kn 2:15

f 1Kn 19:19, 21

g 1Sa 2:30
Ese 14:3h Rig 10:14
1Kn 18:19
1Kn 22:6

Tweede kol.

a 2Kr 17:3, 4
2Kr 19:3, 4

b Spr 15:29

c 1Sa 10:5
1Kr 25:1d 1Kn 18:46
Ese 1:3
Han 11:21

e Ps 107:35

f Jer 32:17
Mr 10:27

g De 28:7

h De 3:5

i 2Kn 3:25

j Eks 29:39, 40

magte en die Een wat ek dien,* ek sou nie eers na jou gekyk het of aandag aan jou geskenk het as dit nie was vir die respek wat ek vir koning Jo'safat^a van Juda het nie.^b **15** Bring nou vir my 'n harpspeler."^c Toe die harpspeler begin speel, het die krag^d van Jehovah oor Eli'sa gekom.^d **16** Hy het gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Grawe slote oral in hierdie vallei,* **17** want dit is wat Jehovah sê: "Julle sal geen wind sien nie en julle sal geen reën sien nie, en tog sal hierdie vallei* vol water word,^e en julle, julle vee en julle ander diere sal daarvan drink."^f **18** Maar dit is iets kleins in die oë van Jehovah,^f want hy sal Moab ook in julle hand gee.^g **19** Julle moet al die versterkte stede^h en al die beste stede verslaan, en julle moet elke goeie boom afkap en al die waterfonteine toestop, en julle moet elke goeie stuk grond met klippe onbruikbaar maak."ⁱ

20 En in die oggend, teen die tyd van die oggendgraanoffer,^j het water skielik uit die rigting van Edom gekom, en die land het vol water geword.

21 Al die Moabiete het gehoor dat die konings opgetrek het om teen hulle te veg. Daarom het hulle al die manne bymekaargeroep wat oud genoeg was om te veg,* en hulle het by die grens gaan staan. **22** Toe hulle die oggend vroeg opstaan, het die son op die water geskyn. En vir die Moabiete aan die oorkant het die water rooi soos bloed gelyk. **23** Hulle het gesê: "Dit is bloed! Die konings het mekaar vir seker met die

3:14 *Lett. "voor wie ek staan". **3:15** *Of "musikant". ^fLett. "hand". **3:16, 17** *Of "wadi". Sien Woordelys. **3:21** *Of "wat hulle met 'n lyfband omgord het".

swaard doodgemaak. Laat ons hulle gaan stroop,^a o Moab!”

24 Toe hulle in die kamp van Israel kom, het die Israëliete die Moabiete aangeval, wat voor hulle gevlug het.^b Die Israëliete het tot in Moab gegaan en die Moabiete doodgemaak so ver as wat hulle gegaan het. **25** Hulle het die stede afgebreek, en elke man het 'n klip op elke goeie stuk grond gegooi en dit sodoende met klippe toegegooi. Hulle het elke waterfontein toegestop^c en hulle het elke goeie boom afgekap.^d Uiteindelik het net die klipmure van Kir-Hare'set^e bly staan, en die soldate wat met slingervelle gewapen was, het die stad omsingel en dit aangeval.

26 Toe die koning van Moab sien dat hy die geveg verloor het, het hy 700 manne met swaarde saam met hom geneem om deur te dring tot by die koning van Edom,^f maar hulle kon nie. **27** Hy het toe sy eersgebore seun geneem wat in sy plek sou regeer het en hom as 'n brandoffer^g op die muur geoffer. En daar het groot woede teen Israel ontstaan, en daarom het hulle van die koning van Moab af weggetrek en na hulle land teruggekeer.

4 Op 'n dag het 'n weduwe van een van die seuns van die profete^h na Eli'sa uitgeroep en gesê: “My man, u kneg, is dood, en u weet goed dat hy Jehovah nog altyd gevrees het.ⁱ En nou het 'n skuldeiser gekom om al twee my kinders as sy slawe te neem.” **2** Eli'sa het toe vir haar gevra: “Wat kan ek vir jou doen? Sê vir my wat jy in die huis het.” Sy het geantwoord: “U diensmeisie het niks in die huis nie, behalwe 'n kruik* met olie.”

4:2 *Of “kruik met 'n tuit”.

HFST. 3

a Eks 15:9, 10

b Le 26:7

c Ge 26:15
2Kr 32:4

d 2Kn 3:19

e Jes 16:7

f 2Kn 3:9

g De 12:31
2Kr 28:1, 3
Ps 106:37, 38

HFST. 4

h 2Kn 2:3, 5

i 1Kn 19:18

j 1Kn 17:9, 12

Tweede kol.

a Mr 6:41
Mr 8:6-8
Joh 2:7-9

b Mt 14:19

c Jos 5:12
1Kn 17:14

d Jos 19:17, 18

e Ge 19:1-3
Rig 13:15

f Rig 3:20
1Kn 17:19

g Mt 10:41
Ro 12:13
Heb 13:2

h 2Kn 5:25-27
2Kn 8:4

i Jos 19:17, 18

j Ro 16:6

k 2Kn 4:1, 2
Heb 6:10

3 Toe het hy gesê: “Gaan uit en vra al jou bure vir houters, leë houters. Kry soveel as wat jy kan. **4** Dan moet jy ingaan en die deur agter jou en jou seuns toemaak. Maak al die houters vol en sit die volles eenkant.” **5** Sy het toe van hom af weggegaan.

Nadat sy die deur agter haar en haar seuns toegemaak het, het hulle die houters vir haar aangegee, en sy het die een ná die ander vol gemaak.^a **6** Toe die houters vol was, het sy vir een van haar seuns gesê: “Bring vir my nog 'n houer.”^b Maar hy het vir haar gesê: “Daar is nie nog houters nie.” Toe het die olie opgehou.^c **7** Daarna het sy vir die man van die ware God gaan vertel, en hy het gesê: “Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld, en jy en jou seuns kan lewe van wat oorbly.”

8 Eindag het Eli'sa na Sunem^d gegaan, waar daar 'n voor-aanstaande vrou was, en sy het daarop aangedring dat hy daar moet eet.^e En elke keer as hy daar verbygegaan het, het hy daar iets gaan eet. **9** Sy het vir haar man gesê: “Ek weet dat die man wat gereeld hier verby kom, 'n heilige man van God is. **10** Laat ons asseblief vir hom 'n kamertjie op die dak maak^f en vir hom 'n bed, 'n tafel, 'n stoel en 'n lampstaander daarin sit. Dan kan hy daar bly wanneer hy na ons toe kom.”^g

11 Op 'n dag het hy daar aangekom en na die kamer op die dak gegaan om te gaan lê. **12** Hy het toe vir sy dienaar Geha'si^h gesê: “Roep die Sunamitieseⁱ vrou.” Hy het haar dus gaan roep, en sy het na hom toe gegaan. **13** Hy het vir Geha'si gesê: “Sê asseblief vir haar: ‘Jy het so baie moeite vir ons gedoen.^j Wat kan ek vir jou doen?’^k Moet ek namens jou met die

koning^a of die hoof van die leërmag gaan praat?" Maar sy het geantwoord: "Nee, dit is nie nodig nie, want ek woon onder my eie volk." **14** Hy het toe gevra: "Wat kan dan vir haar gedoen word?" Geha'si het gesê: "Wel, sy het nie 'n seun nie,^b en haar man is oud." **15** Hy het dadelik gesê: "Roep haar." Hy het haar toe gaan roep, en sy het by die ingang gaan staan. **16** Toe het hy gesê: "Teen volgende jaar hierdie tyd sal jy 'n seuntjie vashou."^c Maar sy het gesê: "Nee, my meester, man van die ware God! Moenie vir u diensmeisie leuens vertel nie."

17 Maar die vrou het swanger geword en presies 'n jaar later aan 'n seun geboorte gee, net soos Eli'sa vir haar gesê het. **18** Die kind het groter geword, en op 'n dag het hy na sy pa toe gegaan, wat by die oeswerkers was. **19** Hy het heeltyd vir sy pa gesê: "My kop, o my kop!" Sy pa het vir die dienaar gesê: "Dra hom na sy ma toe." **20** Hy het hom na sy ma toe gedra, en hy het tot die middag op haar skoot gesit, en toe het hy gesterf.^d **21** Toe het sy opgegaan en hom op die bed van die man van die ware God neergelê,^e en sy het die deur agter haar toegemaak en uitgegaan. **22** Sy het haar man geroep en gesê: "Stuur asseblief vir my een van die dienaars en een van die donkies, en laat ek gou na die man van die ware God gaan, en dan sal ek terugkom." **23** Hy het gevra: "Hoekom gaan jy vandag na hom toe? Dit is nie 'n nuwemaan' of 'n sabbat nie." Maar sy het gesê: "Moenie bekommerd wees nie." **24** Sy het toe die donkie opgesaal en vir haar dienaar gesê: "Maak gou. Jaag die donkie aan en moenie ter wille van my stadiger gaan nie, tensy ek vir jou so sê."

HFST. 4

a 2Kn 8:3

b Ge 15:2
Ge 30:1

c Ge 18:10

d 1Kn 17:17

e 2Kn 4:9, 10

f Nu 10:10
Nu 28:11

Tweede kol.

a Mt 28:9

b 2Kn 4:16

c 1Kn 18:46

d Mt 15:22, 28

e Mt 17:15, 16
Mr 9:17, 18

f 2Kn 4:21

g 1Kn 17:19, 20
Joh 11:41
Han 9:40

25 Sy het na die man van die ware God by die berg Karmel gegaan. Toe die man van die ware God haar in die verte sien, het hy vir sy dienaar Geha'si gesê: "Kyk! Daar is die Sunamitiese vrou. **26** Hardloop asseblief na haar toe en vra haar: 'Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? Gaan dit goed met jou kind?'" Sy het geantwoord: "Dit gaan goed." **27** Toe sy by die man van die ware God op die berg kom, het sy dadelik sy voete gegryp.^a Geha'si het toe nader gekom om haar weg te stoot, maar die man van die ware God het gesê: "Los haar, want sy is baie hartseer, en Jehovah het dit vir my weggesteek en my nie daarvan vertel nie." **28** Sy het toe gesê: "Het ek my heer vir 'n seun gevra? Het ek nie gesê: 'Moenie vir my valse hoop gee nie?'"^b

29 Hy het dadelik vir Geha'si gesê: "Maak jou klere om jou heupe vas^c en neem my staf en gaan. As jy iemand teëkom, moet jy hom nie groet nie, en as iemand jou groet, moet jy hom nie antwoord nie. Gaan sit my staf op die seun se gesig." **30** Toe het die seun se ma gesê: "So waar as wat Jehovah lewe en so waar as wat u lewe, ek sal u nie verlaat nie."^d Daarom het hy opgestaan en saam met haar gegaan. **31** Geha'si het voor hulle uit gegaan en die staf op die seun se gesig gesit, maar daar was geen geluid of reaksie nie.^e Hy het na Eli'sa teruggegaan en vir hom gesê: "Die seun het nie wakker geword nie."

32 Toe Eli'sa in die huis ingaan, het die seun dood op sy bed gelê.^f **33** Hy het ingegaan en die deur agter hulle twee toegemaak en tot Jehovah begin bid.^g **34** Daarna het hy op die

bed geklim en oor die kind gaan lê en sy mond op die seun se mond, sy oë op die seun se oë en sy palms op die seun se palms gesit en oor hom gebuig gebly, en die kind se liggaam het begin warm word.^a **35** Toe het hy heen en weer in die huis geloop, en daarna het hy weer op die bed geklim en oor hom gebuig. Die seun het sewe keer genies, en daarna het hy sy oë oopgemaak.^b **36** Eli'sa het Geha'si toe geroep en gesê: "Roep die Sunammitiese vrou." Hy het haar dus geroep, en sy het na hom toe gegaan. Toe het hy gesê: "Tel jou seun op."^c **37** En sy het ingegaan en voor sy voete geval en na die grond toe neergebui, en daarna het sy haar seun opgetel en uitgegaan.

38 Toe Eli'sa na Gilgal terugkeer, was daar hongersnood in die land.^d Die seuns van die profete^e het voor hom gesit, en hy het vir sy dienaar' gesê: "Sit die groot pot op die vuur en kook 'n bredie vir die seuns van die profete." **39** Toe het een van hulle na die veld uitgegaan om kruiete pluk, en hy het 'n wilde rankplant gevind en wilde kalbasse daarvan gepluk en sy kleed daarmee vol gemaak. Daarna het hy teruggegaan en dit opgesny en in die kookpot gegooi, al het hy nie geweet wat dit is nie. **40** Later het hulle dit vir die manne gegee om te eet, maar toe hulle van die bredie eet, het hulle uitgeroep: "Daar is gif* in die pot, o man van die ware God!" En hulle kon dit nie eet nie. **41** Toe het hy gesê: "Gaan haal 'n bietjie meel." Nadat hy dit in die pot gegooi het, het hy gesê: "Gee dit vir die mense om te eet." En daar was niks skadeliks in die pot nie.^g

4:40 *Lett. "dood".

HFST. 4

a 1Kn 17:21, 22
Han 20:9,10

b 2Kn 8:1, 5

c Heb 11:35

d De 28:23, 24
2Kn 8:1
Ese 14:13

e 2Kn 2:3, 5

f 2Kn 4:12

g Eks 15:23-25
2Kn 2:19-21

Tweede kol.

a 1Sa 9:3, 4

b Joh 6:9

c 1Sa 9:6, 7

d Mt 14:17
Mr 8:4

e Mt 14:20
Mr 8:8

f Lu 9:17
Joh 6:13

HFST. 5

g 1Kn 19:16

h Mt 8:2
Mt 11:5
Lu 4:27

42 'n Man het uit Baäl-Sali'sa^a gekom, en hy het vir die man van die ware God 20 garsbrode^b gebring wat van die eerste graan van die nuwe oes gemaak is, sowel as 'n sak vol vars graan.^c Toe het Eli'sa gesê: "Gee dit vir die mense om te eet." **43** Maar sy dienaar het gesê: "Hoe kan 100 manne hiervan eet?"^d Toe het hy gesê: "Gee dit vir die mense om te eet, want dit is wat Jehovah sê: 'Hulle sal eet en nog oorhê.'"^e **44** Hy het dit vir hulle gegee om te eet, en hulle het geëet en nog oorgehad,^f net soos Jehovah gesê het.

5 Naäman, die hoof van die leërmag van die koning van Sirië, was 'n belangrike man, en sy heer het groot respek vir hom gehad omdat Jehovah hom gebruik het om vir Sirië 'n oorwinning* te gee. Hy was 'n magtige vegter, hoewel hy 'n melaatse was.^g **2** Eendag, toe die Siriërs die Israëliete gaan stroop het, het hulle 'n meisietjie uit die land van Israel gevange geneem, en sy het die diensmeisie van Naäman se vrou geword. **3** Sy het vir haar meesteres gesê: "As my heer tog maar net na die profete^g in Samari'a sou gaan, dan sal hy hom van sy melaatsheid genees."^h **4** Toe het hy* vir sy heer gaan vertel wat die meisie van Israel gesê het.

5 Die koning van Sirië het gesê: "Gaan! Ek sal 'n brief aan die koning van Israel stuur." Hy het dus gegaan en tien talente* silwer, 6 000 stukke goud en tien stelle klere saamgeneem. **6** Hy het die brief na die koning van

5:1 *Of "redding". ^aOf "aan 'n vel-siekte gely het". **5:4** *Verwys moontlik na Naäman. **5:5** *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

Israel geneem, wat gesê het: "Saam met hierdie brief stuur ek my kneg Naäman na u toe, sodat u hom van sy melaatsheid kan genees." **7** Toe die koning van Israel die brief lees, het hy sy klere geskeur en gesê: "Is ek God, wat mense kan doodmaak en hulle aan die lewe kan hou?"^a Want hy stuur hierdie man na my toe en sê dat ek hom van sy melaatsheid moet genees! Julle kan mos sien dat hy moeilikheid soek."

8 Maar toe Eli'sa, die man van die ware God, hoor dat die koning van Israel sy klere geskeur het, het hy dadelik 'n boodskap na die koning toe gestuur en gesê: "Hoekom het u u klere geskeur? Laat hom asseblief na my toe kom sodat hy kan weet dat daar 'n profeet in Israel is."^b **9** Toe het Naäman met sy perde en sy strydwaens gekom en by die ingang van die huis van Eli'sa gaan staan. **10** Eli'sa het 'n boodskapper na hom toe gestuur om vir hom te sê: "Gaan was jou sewe keer^c in die Jordaanrivier,^d en dan sal jy gesond word, en jy sal rein wees." **11** Maar Naäman het kwaad geword en begin wegstap en gesê: "Ek het gedink dat hy na my toe sou uitkom en hier sou staan en die naam van Jehovah sy God sou aanroep terwyl hy sy hand heen en weer oor die melaatsheid beweeg om dit te genees. **12** Is die Aba'na en die Farpar, die riviere van Damaskus,^e nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie in hulle was en rein word nie?" Toe het hy omgedraai en woedend weggegaan.

13 Sy knegte het toe na hom toe gegaan en vir hom gesê: "My vader, sou u nie gedoen het wat die profeet gesê het as hy vir u gesê het om iets buitenge-

HFST. 5

a De 32:39

b 1Kn 17:24
1Kn 19:16
2Kn 3:11, 12
2Kn 8:4c Le 14:7
Nu 19:4

d Joh 9:6, 7

e Jes 7:8

Tweede kol.

a 2Kn 5:10

b Job 33:25

c Lu 4:27
Lu 5:13

d Lu 17:15, 16

e Ps 96:4, 5
Jes 43:10

f Mt 10:8

g 2Kn 4:12
2Kn 8:4

woons te doen nie? Maar al wat hy vir u gesê het, is: 'Was jou en wees rein.' Moet u dit nie maar doen nie?" **14** Toe het hy sewe keer in die Jordaanrivier onder die water gegaan,^{*} net soos die man van die ware God gesê het.^a Daarna het sy vel gesond geword, soos die vel van 'n klein seuntjie,^b en hy het rein geword.^c

15 Daarna het hy en al sy manne^{*} teruggegaan na die man van die ware God,^d en hy het voor hom gaan staan en gesê: "Nou weet ek dat daar nêrens op aarde 'n God is, behalwe in Israel nie.^e Aanvaar asseblief 'n geskenk^f van u kneg." **16** Maar Eli'sa het gesê: "So waar as wat Jehovah, wat ek dien,^{*} lewe, ek sal dit nie aanvaar nie."^f Hy het daarop aangedring dat hy dit aanvaar, maar hy het bly weier. **17** Uiteindelik het Naäman gesê: "Goed dan, maar laat daar asseblief aan u kneg grond van hierdie land gegee word, soveel as wat twee muile kan dra, want u kneg sal nie meer 'n brandoffer of 'n offerande aan enige ander god as Jehovah offer nie. **18** Maar mag Jehovah my hierdie een ding vergewe: Wanneer my heer in die tempel^{*} van Rimmon ingaan om daar neer te buig, leun hy op my arm, en dan moet ek in die tempel^{*} van Rimmon neerbuig. Mag Jehovah my asseblief vergewe wanneer ek in die tempel^{*} van Rimmon neerbuig." **19** Toe het hy vir hom gesê: "Gaan in vrede." Nadat hy van hom af weggegaan het en 'n hele ent gereis het, **20** het Geha'si,^g die dienaar van Eli'sa,

5:14 *Of "hy hom sewe keer in die Jordaanrivier onderdompel". **5:15** *Lett. "sy hele kamp". ^fLett. "seën". **5:16** *Lett. "voor wie ek staan". **5:18** *Lett. "huis".

die man van die ware God,^a gedink: 'My meester het hierdie Siriër Naāman^b laat gaan sonder om die geskenk te aanvaar wat hy gebring het. So waar as wat Jehovah lewe, ek sal agter hom aan hardloop en iets van hom neem.' **21** En Geha'si het Naāman agternagesit. Toe Naāman sien dat iemand agter hom aan hardloop, het hy van sy strydwa afgeklim en na hom toe gegaan en gevra: "Is alles in orde?" **22** Hy het geantwoord: "Alles is in orde. My meester het my gestuur om te sê: 'Twee jong manne uit die seuns van die profete het nou net uit die bergstreek van E'frat na my toe gekom. Gee asseblief vir hulle 'n talent silwer en twee stelle klere.'"^c **23** Naāman het gesê: "Neem twee talente." En hy het by hom aangedring^d en twee talente silwer in twee sakke toegebind, met twee stelle klere, en dit vir twee van sy dienaars gegee, wat dit voor Geha'si gedra het.

24 Toe hy by Ofel* kom, het hy dit by hulle geneem en dit in die huis neergesit en die manne weggestuur. Nadat hulle weggegaan het, **25** het hy ingegaan en by sy meester gaan staan. Eli'sa het toe vir hom gevra: "Waar kom jy vandaan, Geha'si?" Maar hy het gesê: "U kneg het nêrens gegaan nie."^e **26** Eli'sa het toe vir hom gesê: "Was my hart nie daar by jou toe die man van sy strydwa afgeklim het en na jou toe gegaan het nie? Is dit die tyd om silwer te aanvaar of om klere of olyfboorde of wingerde of skape of beeste of diensknegte of diensmeisies te aanvaar?"^f **27** Nou sal jy en jou nageslag vir ewig ly aan die melaats-

5:24 *'n Plek in Samaria, moontlik 'n heuwel of 'n vesting.

HFST. 5

a 1Kn 17:24

b 2Kn 5:1

Lu 4:27

c 2Kn 5:5

d 2Kn 5:16

e Han 5:8,9

f Mt 10:8

Lu 12:15

Han 20:33

1Ti 6:10

Tweede kol.

a 2Kn 5:1

b Eks 4:6

Nu 12:10

HFST. 6

c 2Kn 2:3, 5

2Kn 9:1

d 1Kn 20:1, 34

1Kn 22:31

e 1Kn 17:24

f Mt 2:12

heid van Naāman."^a Geha'si het onmiddellik as 'n melaatse van hom af weggegaan, so wit soos sneeu.^b

6 Die seuns van die profete^c het vir Eli'sa gesê: "Die plek waar ons saam met u woon, is te klein vir ons. **2** Laat ons asseblief na die Jordaanrivier gaan. Laat elkeen van ons 'n stomp daar gaan haal en daar vir ons 'n plek maak om in te woon." Hy het gesê: "Gaan." **3** Een van hulle het gesê: "Kom asseblief saam met u knegte." Hy het gesê: "Goed, ek sal saamkom." **4** Toe het hy saam met hulle gegaan, en hulle het by die Jordaanrivier aangekom en bome begin afkap. **5** Terwyl een van hulle besig was om 'n boom af te kap, het die bylknop in die water geval. Hy het uitgeroep: "Ag, my meester, dit was 'n geleende byl!" **6** Die man van die ware God het gevra: "Waar het dit geval?" Hy het vir hom die plek gewys. Eli'sa het toe 'n stuk hout afgekap en dit daar gegooi, en dit het die bylknop laat dryf. **7** Hy het gesê: "Haal dit uit." Toe het hy sy hand uitgesteek en dit geneem.

8 Die koning van Sirië het teen Israel gaan oorlog voer.^d Hy het met sy knegte vergader en vir hulle gesê waar hulle saam met hom moes kamp opslaan. **9** Die man van die ware God^e het 'n boodskap aan die koning van Israel gestuur en gesê: "Moenie by daardie plek verbygaan nie, want die Siriërs is op pad daarnatoe." **10** En die koning van Israel het 'n waarskuwing gestuur na die plek wat die man van die ware God genoem het. Eli'sa het aangehou om die koning te waarsku, en die koning het daardie plekke vermy. Dit het verskeie kere gebeur.^f

11 Dit het die koning* van Sirië baie kwaad gemaak, en hy het sy knegte bymeakaareroep en vir hulle gesê: “Sê vir my: Wie van ons is aan die koning van Israel se kant?” **12** Toe het een van sy knegte gesê: “Nie een van ons nie, my heer die koning! Dit is die profeet Eli'sa in Israel wat vir die koning van Israel vertel wat u in u slaapkamer sê.”^a **13** Hy het gesê: “Gaan vind uit waar hy is, sodat ek manne kan stuur om hom te vang.” Later is daar vir hom gesê: “Hy is in Dotan.”^b **14** Hy het dadelik perde en strydwaens en 'n groot leërmag daarheen gestuur. Hulle het in die nag daar aangekom en die stad omsingel.

15 Toe die dienaar van die man van die ware God vroeg opstaan en buitentoe gaan, het hy gesien dat 'n leërmag met perde en strydwaens die stad omsingel. Toe het sy dienaar vir hom gesê: “Ag, my meester! Wat gaan ons doen?” **16** Maar hy het gesê: “Moenie bang wees nie!^c Want daar is meer by ons as wat daar by hulle is.”^d **17** Eli'sa het toe gebid en gesê: “O Jehovah, maak asseblief sy oë oop sodat hy kan sien.”^e Jehovah het dadelik die dienaar se oë oopgemaak, en hy het gesien dat die bergstreek rondom Eli'sa^f vol perde en strydwaens van vuur^g was.

18 Toe die Siriërs na hom toe begin kom, het Eli'sa tot Jehovah gebid en gesê: “Laat hierdie nasie asseblief blind word.”^h Toe het hy hulle blind laat word, net soos Eli'sa gevra het. **19** Eli'sa het toe vir hulle gesê: “Dit is nie die pad nie, en dit is nie die stad nie. Volg my, en laat ek julle lei na die man wat julle

6:11 *Lett. “die hart van die koning”.

HFST. 6

a Da 2:22, 28

b Ge 37:16, 17

c Eks 14:13
Ps 3:6

d 2Sa 22:31
2Kr 32:7
Ps 18:2
Ps 27:3
Ps 46:7
Ps 55:18
Ps 118:11
Ro 8:31

e Han 7:56

f Ps 34:7
Mt 26:53

g 2Kn 2:11
Ps 68:17
Sag 6:1

h Ge 19:10, 11

Tweede kol.

a 1Kn 16:29

b Spr 25:21
Ro 12:20

c 2Kn 5:2

d De 28:52
1Kn 20:1

e Le 26:26
De 28:15, 17

f De 14:3
Ese 4:14

soek.” Maar hy het hulle na Samari'a^a gelei.

20 Toe hulle in Samari'a aankom, het Eli'sa gesê: “O Jehovah, maak hulle oë oop sodat hulle kan sien.” En Jehovah het hulle oë oopgemaak, en hulle het gesien dat hulle in die middel van Samari'a is. **21** Toe die koning van Israel hulle sien, het hy vir Eli'sa gevra: “Moet ek hulle doodmaak? Moet ek hulle doodmaak, my vader?” **22** Maar hy het gesê: “Jy moet hulle nie doodmaak nie. Sou jy dié doodmaak wat jy met jou swaard en met jou boog gevange geneem het? Gee vir hulle kos* en water sodat hulle kan eet en drink^b en na hulle heer toe kan teruggaan.” **23** Toe het hy vir hulle 'n groot feesmaal gehou, en hulle het geëet en gedrink, en daarna het hy hulle na hulle heer toe teruggestuur. En die rowerbendes van die Siriërs^c het nooit weer in die land van Israel ingekom nie.

24 Daarna het Ben-Hadad, die koning van Sirië, sy hele leërmag* bymeakaareroep en Samari'a^d gaan beleër. **25** Gevolglik het daar 'n groot hongersnood^e in Samari'a ontstaan. Hulle het dit so lank beleër dat 'n donkie se kop^f later 80 silwerstukke werd was, en 'n kwart kab* duiwemis 5 silwerstukke. **26** Toe die koning van Israel op die muur verbygegaan het, het 'n vrou na hom toe uitgeroep: “Help ons, my heer die koning!” **27** Hy het geantwoord: “As Jehovah jou nie help nie, hoe kan ek jou dan help? Is daar nog enigiets op die dorsvloer of in die wynpers of oliepers?” **28** Die koning het vir haar gevra: “Wat is fout?” Sy het geant-

6:22 *Lett. “brood”. 6:24 *Lett. “kamp”. 6:25 *n Kab was gelyk aan 1,22 l. Sien Aanh. B14.

woord: "Hierdie vrou het vir my gesê: 'Gee jou seun dat ons hom vandag kan eet, en môre sal ons my seun eet.'^a **29** Toe het ons my seun gekook en hom geëet.^b Die volgende dag het ek vir haar gesê: 'Gee jou seun dat ons hom kan eet.' Maar sy het haar seun weggesteek."

30 Toe die koning die vrou se woorde hoor, het hy sy klerre geskeur.^c En terwyl hy op die muur verbygegaan het, het die mense gesien dat hy saklinne onder sy klerre* dra. **31** Hy het toe gesê: "Mag God my swaar straf* as die kop van Eli'sa, die seun van Safat, vandag op hom bly!"^d

32 Eli'sa het in sy huis gesit, en die ouermanne het by hom gesit. Die koning het 'n boodskapper voor hom uit gestuur, maar voordat die boodskapper daar aangekom het, het Eli'sa vir die ouermanne gesê: "Het julle gesien hoe hierdie seun van 'n moordenaar^e beveel het dat my kop afgekap moet word? As julle die boodskapper sien kom, moet julle die deur toemaak, en julle moet die deur toedruk sodat hy nie kan inkom nie. Hoor julle nie die geluid van sy heer se voetstappe kort agter hom nie?" **33** Terwyl hy nog met hulle gepraat het, het die boodskapper na hom toe gekom. Toe het die koning gekom en gesê: "Hierdie rampspoed kom van Jehovah af. Hoekom moet ek nog langer op Jehovah wag?"

7 Eli'sa het toe gesê: "Luister na die woord van Jehovah. Dit is wat Jehovah sê: 'Omtrent hierdie tyd môre by die poort* van Samari'a sal 'n sea# fyn-

6:30 *Of "onder, teen sy vel". **6:31** *Lett. "so aan my doen en daarby voeg". **7:1** *Of "markte". #'n Sea was gelyk aan 7,33 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 6

a Le 26:29
De 28:53-57
Ese 5:10

b Klg 4:10

c Ge 37:29
1Kn 21:27

d Jer 38:4

e 1Kn 18:13
1Kn 21:9,10

Tweede kol.

HFST. 7

a De 32:36
2Kn 7:18

b Nu 14:11

c Nu 11:23

d 2Kn 7:17

e Le 13:45, 46

f 2Kn 6:25

g De 28:7
2Sa 5:24

meel 'n sikkkel* werd wees en sal twee sea gars 'n sikkkel werd wees."^a **2** Toe het die offisier op wie die koning staatgemaak het, vir die man van die ware God gevra: "Kan dit werklik gebeur, al maak Jehovah sluise in die hemel oop?"^b Hy het geantwoord: "Jy sal dit met jou eie oë sien,^c maar jy sal nie daarvan eet nie."^d

3 Daar was vier melaatses by die ingang van die stadspoort,^e en hulle het vir mekaar gevra: "Hoekom moet ons hier sit en wag om dood te gaan? **4** As ons besluit om in die stad in te gaan, terwyl daar hongersnood in die stad is,^f sal ons daar doodgaan. En as ons hier sit, sal ons in elk geval doodgaan. Kom ons gaan na die kamp van die Siriërs. As hulle ons lewens spaar, sal ons lewe, maar as hulle ons doodmaak, sal ons sterf." **5** Toe dit daardie aand donker word, het hulle opgestaan en in die kamp van die Siriërs ingegaan. En toe hulle by die rand van die kamp van die Siriërs kom, was daar niemand daar nie.

6 Want Jehovah het die kamp van die Siriërs die geluid van strydwaens, perde en 'n massiewe leërmag laat hoor.^g Hulle het vir mekaar gesê: "Die koning van Israel het die konings van die Hetiëte en die konings van Egipte gehuur om ons aan te val!" **7** Hulle het dadelik opgestaan en in die skemer gevlug. Hulle het hulle tente, perde, donkies en die hele kamp net so gelos, en hulle het vir hulle lewe* gevlug.

8 Toe die melaatses by die rand van die kamp kom, het hulle in een van die tente ingegaan en begin eet en drink.

7:1 *'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. **7:7** *Of "siele".

Hulle het silwer, goud en klerre daaruit weggedra en dit gaan wegsteek. Daarna het hulle teruggekeer en in 'n ander tent ingegaan en dinge daaruit weggedra en dit gaan wegsteek.

9 Uiteindelik het hulle vir mekaar gesê: "Wat ons doen, is nie reg nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie nuus! As ons wag totdat dit lig word, sal ons verdien om gestraf te word. Kom ons gaan sê vir die koning se huis hiervan." **10** Toe het hulle gegaan en na die poortwagters van die stad uitgeroep en vir hulle gesê: "Ons het in die kamp van die Siriërs ingegaan, maar daar was niemand daar nie. Ons het niemand gehoor nie. Daar was net perde en vasmagakte donkies, en die tente is net so gelos." **11** Die poortwagters het dadelik die nuus verkondig, en die koning se huis het daarvoor gehoor.

12 Onmiddellik het die koning in die nag opgestaan en vir sy knegte gesê: "Kom ek sê vir julle wat die Siriërs wil doen. Hulle weet dat ons honger is,^a en daarom het hulle die kamp verlaat om in die veld weg te kruip met die gedagte dat ons uit die stad sal uitgaan en dat hulle ons lewend sal vang en in die stad sal inkom."^b **13** Toe het een van sy knegte gesê: "Laat 'n paar manne vyf van die perde neem wat in die stad oorgebly het. Hulle sal nie slegter af wees as al die Israëliete wat hier bly nie. Hulle sal ook doodgaan soos al die Israëliete wat reeds doodgegaan het. Kom ons stuur hulle uit om te gaan kyk wat gebeur het." **14** Toe het hulle twee strydwaens met perde geneem, en die koning het hulle na die kamp van die Siriërs gestuur en gesê: "Gaan kyk." **15** Hulle het ag-

HFST. 7

a 2Kn 6:25
2Kn 6:28, 29

b Jos 8:4, 12
Rig 20:29, 37

Tweede kol.

a Nu 23:19
2Kn 7:1
Jes 55:10, 11

b 2Kn 7:1, 2

HFST. 8

c 2Kn 4:32-35

d Le 26:19
De 28:15, 23
1Kn 17:1

ter die Siriërs aan gegaan tot by die Jordaanrivier, en orals langs die pad het daar klerre en voorwerpe gelê wat die Siriërs weggegooi het toe hulle paniekbevange vlug het. Die boodskappers het teruggekom en die koning daarvan vertel.

16 Daarna het die volk uitgegaan en die kamp van die Siriërs gestroop. 'n Sea fynmeel was toe 'n sikkel werd, en twee sea gars was 'n sikkel werd, net soos Jehovah gesê het.^a **17** Die koning het die offisier op wie hy staatgemaak het, aangestel om toesig te hou oor die poort. Maar die volk het hom by die poort vertrap, en hy het gesterf, net soos die man van die ware God vir die koning gesê het toe hy na hom toe gegaan het. **18** Dit het gebeur net soos die man van die ware God vir die koning gesê het: "Teen hierdie tyd môre by die poort van Samari'a sal 'n sea fynmeel 'n sikkel werd wees en sal twee sea gars 'n sikkel werd wees."^b **19** Maar die offisier het vir die man van die ware God gevra: "Kan so iets werklik gebeur, al maak Jehovah sluise in die hemel oop?" Eli'sa het geantwoord: "Jy sal dit met jou eie oë sien, maar jy sal nie daarvan eet nie." **20** Dit is presies wat met hom gebeur het, want die volk het hom by die poort vertrap, en hy het gesterf.

8 Eli'sa het vir die vrou wie se seun hy lewend gemaak het, gesê:^c "Gaan, jy en jou huisgesin, en gaan woon as 'n uitlander waar jy ook al kan, want Jehovah het aangekondig dat daar 'n hongersnood^d in die land sal wees wat sewe jaar sal duur." **2** Toe het die vrou gedoen wat die man van die ware God gesê het. Sy het saam met haar huisgesin gegaan en sewe jaar lank

in die land van die Filistyne^a ge-
woon.

3 Ná sewe jaar het die vrou uit die land van die Filistyne teruggekeer en vir die koning gaan vra om haar huis en haar grond vir haar terug te gee.

4 Die koning was besig om met Geha'si, die dienaar van die man van die ware God, te praat en het gesê: "Vertel my asseblief van al die groot dinge wat Eli'sa gedoen het."^b

5 Terwyl hy vir die koning vertel het hoe Eli'sa die dooie seun lewend gemaak het,^c het die vrou wie se seun hy lewend gemaak het, na die koning gekom en hom gevra om haar huis en haar grond vir haar terug te gee.^d Geha'si het dadelik gesê: "My heer die koning, dít is die vrou, en dít is haar seun wat Eli'sa lewend gemaak het."

6 Toe het die koning die vrou uitgevra, en sy het hom vertel wat gebeur het. Die koning het 'n hofbeampte aangesel om haar te help en vir hom gesê: "Gee alles terug wat aan haar behoort, sowel as die volle waarde van die opbrengs van haar grond van die dag dat sy die land verlaat het tot nou toe."

7 Eli'sa het in Damaskus^e aangekom toe Ben-Hadad,^f die koning van Sirië, siek was. En daar is vir hom gesê: "Die man van die ware God^g is hier."

8 Die koning het vir Ha'sael^h gesê: "Neem 'n geskenk saam en gaan na die man van die ware God.ⁱ Vra Jehovah deur middel van hom of ek van hierdie siekte sal herstel."

9 Ha'sael het na hom toe gegaan en het allerhande goeie dinge van Damaskus, soveel as wat 40 kamele kon dra, as 'n geskenk saamgeneem. Hy het voor hom gaan staan en gesê: "U seun, Ben-Hadad, die koning van Sirië, het my na u toe gestuur om te vra:

HFST. 8

a Jos 13:2, 3

b 2Kn 2:14
2Kn 2:20, 21
2Kn 3:17
2Kn 4:4, 7
2Kn 6:5-7
2Kn 7:1

c 2Kn 4:32-35

d Nu 36:9

e Jes 7:8

f 1Kn 20:1
2Kn 6:24

g 1Kn 17:24

h 1Kn 19:15

i 1Sa 9:8
1Kn 14:2, 3

Tweede kol.

a 2Kn 8:15

b 2Kn 10:32
2Kn 12:17
2Kn 13:3
Am 1:3

c De 28:63
Am 1:13

d 1Kn 19:15

e 2Kn 8:10

f 1Kn 16:8, 10
2Kn 11:1
2Kn 15:8, 10

g 1Kn 19:15

h 2Kn 1:17

i 1Kn 22:50
2Kr 21:3, 5

j 1Kn 12:28-30

k 1Kn 16:32, 33
1Kn 21:25

l 2Kn 8:26, 27
2Kr 18:1

"Sal ek van hierdie siekte herstel?" **10** Eli'sa het hom geantwoord: "Gaan sê vir hom: 'U sal beslis herstel,' maar Jehovah het aan my geopenbaar dat hy beslis sal sterf."^a **11** En Eli'sa het hom só lank aangestaar dat hy skaam geword het. Toe het die man van die ware God begin huil. **12** Ha'sael het gevra: "Hoekom huil my heer?" Hy het geantwoord: "Omdat ek weet watter verskriklike dinge jy aan die Israëliete gaan doen.^b Jy gaan hulle versterkte stede aan die brand steek, hulle beste manne met die swaard doodmaak, hulle kinders doodslaan en hulle swaager vrouens oopsny."^c **13** Ha'sael het gevra: "Hoe kan u kneg, wat 'n blote hond is, so iets doen?" Maar Eli'sa het gesê: "Jehovah het aan my geopenbaar dat jy koning oor Sirië sal wees."^d

14 Daarna het hy van Eli'sa af weggegaan en na sy heer teruggegaan, wat vir hom gevra het: "Wat het Eli'sa vir jou gesê?" Hy het geantwoord: "Hy het vir my gesê dat u beslis sal herstel."^e **15** Maar Ha'sael het die volgende dag 'n kombers geneem en dit in water gesit en dit oor sy gesig gehou totdat hy gestorf het.^f En Ha'sael het in sy plek koning geword.^g

16 In die vyfde jaar van Joram,^h die seun van koning Agab van Israel, terwyl Jo'safat koning van Juda was, het Joram,ⁱ die seun van koning Jo'safat van Juda, koning geword. **17** Hy was 32 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het agt jaar lank in Jerusalem regeer. **18** Hy het dieselfde weg gevolg as die konings van Israel,^j net soos die huis van Agab gedoen het,^k want hy het met Agab se dogter getrou.^l En hy

het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë.^a **19** Maar ter wille van sy kneg Dawid wou Jehovah Juda nie vernietig nie,^b want hy het belowe dat hy vir hom en sy seuns altyd 'n lamp* sou gee.^c

20 In sy dae het Edom teen Juda^d in opstand gekom en hulle eie koning aangestel.^e **21** Daarom het Joram met al sy strydwaens na Sair gegaan, en in die nag het hy die Edomiete wat hom en die bevelvoerders van die strydwaens omsingel het, aangeval en verslaan. En die soldate het na hulle tente gevlug. **22** Maar die Edomiete het volgehou met hulle opstand teen Juda tot vandag toe. In daardie tyd het Libna^f ook in opstand gekom.

23 Die res van die geskiedenis van Joram, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **24** Joram het gesterf,* en hy is by sy voorvaders in die Stad van Dawid begrawe.^g En sy seun Aha'sia^h het in sy plek koning geword.

25 In die 12de jaar van Joram, die seun van koning Agab van Israel, het Aha'sia, die seun van koning Joram van Juda, koning geword.ⁱ **26** Aha'sia was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het een jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Ata'lia,^j die kleindogter* van koning Omri^k van Israel. **27** Hy het dieselfde weg gevolg as die huis van Agab^l en het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos die huis van Agab, want hy was aangetroude familie van die huis van Agab.^m **28** Hy het saam met Joram, die seun van Agab, na Ra'mot-Gi'le-

HFST. 8

a 2Kr 21:6, 7

b Ge 49:10
2Sa 7:16, 17c 1Kn 11:36
Ps 132:17d Ge 27:40
2Sa 8:14e 1Kn 22:47
2Kr 21:8-10f Jos 21:13
2Kn 19:8g 1Kn 2:10
2Kr 21:18-20h 1Kr 3:10, 11
2Kr 21:16, 17
2Kr 22:1, 2

i 2Kn 9:29

j 2Kn 11:1
2Kn 11:13, 16

k 1Kn 16:16, 23

l 1Kn 16:33

m 2Kn 8:16, 18
2Kr 22:3, 4

Tweede kol.

a Jos 21:38
1Kn 22:2, 3b 1Kn 19:17
2Kr 22:5c Jos 19:17, 18
1Kn 21:1
2Kr 22:6

d 2Kn 9:15

HFST. 9

e 2Kn 8:25, 28

f 1Kn 19:16, 17

g 2Kr 22:7

h 1Kn 19:16

ad^a gegaan om oorlog te voer teen koning Ha'sael van Sirië, maar die Siriërs het Joram gewond.^b **29** Daarom het koning Joram na Jis'reël^c teruggegaan om van sy wonde te herstel nadat hy in Rama deur die Siriërs gewond is toe hy teen koning Ha'sael van Sirië geveg het.^d Aha'sia, die seun van Joram, die koning van Juda, het na Jis'reël gegaan om Joram, die seun van Agab, te besoek omdat hy gewond* was.

9 Die profeet Eli'sa het toe een van die seuns van die profete geroep en vir hom gesê: "Bind jou klere om jou heupe vas en neem hierdie fles olie saam en gaan gou na Ra'mot-Gi'lead.^e **2** Wanneer jy daar aankom, moet jy na Jehu,^f die seun van Jo'safat, die seun van Nimsi, soek. Gaan in en neem hom na die binneste vertrek, weg van sy broers af. **3** Neem dan die fles olie en gooi dit op sy kop uit en sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Ek salf jou as koning oor Israel."' ^g Dan moet jy die deur opmaak en dadelik vlug."

4 Toe het die profeet se dienaar na Ra'mot-Gi'lead gegaan. **5** Toe hy daar aankom, het die hoofde van die leërmag daar gesit. Hy het gesê: "Ek het 'n boodskap vir u, o hoofman." Jehu het gevra: "Vir watter een van ons?" Hy het gesê: "Vir u, o hoofman." **6** Jehu het toe opgestaan en in die huis ingegaan. Die dienaar het die olie op sy kop uitgegooi en vir hom gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek salf jou as koning oor Jehovah se volk, oor Israel.' ^h **7** Jy moet die huis van jou heer Agab uitroei, en ek sal die bloed wreek van my knegte, die profete, en van al die kneg-

8:29 *Of "siek".

8:19 *D.w.s. 'n nakomeling. **8:24** *Lett. "is by sy vaders neergelê". **8:26** *Lett. "dogter".

te van Jehovah wat deur Ise'bel^a doodgemaak is. **8** En die hele huis van Agab sal doodgemaak word. Ek sal almal wat manlik is* uit die huis van Agab uitroei, insluitende die hulpeloses en die swakkes in Israel.^b **9** En ek sal die huis van Agab maak soos die huis van Jero'beam,^c die seun van Nebat, en soos die huis van Baäsa,^d die seun van Ahi'a. **10** En wat Ise'bel betref, die honde sal haar opeet op die stuk grond in Jis'reël,^e en niemand sal haar begrawe nie." Toe het hy die deur oopgemaak en gevlug.^f

11 Toe Jehu na die knegte van sy heer teruggegaan het, het hulle vir hom gevra: "Is alles reg? Hoekom het hierdie mal man na jou toe gekom?" Hy het geantwoord: "Julle weet mos hoe daardie manne is en hoe hulle praat." **12** Maar hulle het gesê: "Nee! Vertel ons asseblief die waarheid." Toe het hy gesê: "Hy het dit en dat gesê en toe sê hy: 'Dit is wat Jehovah sê: "Ek salf jou as koning oor Israel."'"^g **13** Elkeen van hulle het toe dadelik sy kleed geneem en dit voor Jehu op die trappe neergesit,^h en hulle het op die horing geblaas en gesê: "Jehu het koning geword!"ⁱ **14** Daarna het Jehu,^j die seun van Jo'safat, die seun van Nimsi, teen Joram saamgesweer.

Joram en die hele Israel het by Ra'mot-Gi'lead^k wag gehou weens koning Ha'sael^l van Sirië. **15** Koning Joram het later na Jis'reël^m teruggegaan om van die wonde te herstel wat hy opgedoen het in die geveg teen die Siriërs toe hy teen koning Ha'sael van Siriëⁿ geveg het.

9:8 *Lett. "enigiemand wat teen 'n muur urineer". 'n Hebreeuse uitdrukking van minagting wat na mans verwys.

HFST. 9

a 1Kn 18:4
1Kn 19:2
1Kn 21:15, 25
Lu 18:7

b 1Kn 21:20, 21

c 1Kn 15:28, 29

d 1Kn 16:11, 12

e 1Kn 21:23

f 2Kn 9:3

g 2Kn 9:6

h Mt 21:7

i 2Sa 15:10
1Kn 1:34, 39

j 1Kn 19:16

k 2Kn 8:28

l 1Kn 19:15
2Kn 8:15
2Kn 10:32

m Jos 19:17, 18
1Kn 21:1

n 2Kr 22:6

Tweede kol.

a 2Kn 8:25
2Kn 8:29
2Kr 22:7

b 1Kn 21:1, 15

Jehu het toe gesê: "As julle aan my kant is, moet julle niemand uit die stad laat ontsnap om in Jis'reël te gaan vertel wat gebeur het nie." **16** Daarna het Jehu met sy strydwa na Jis'reël gegaan, want Joram het daar gelê as gevolg van sy wonde, en koning Aha'sia van Juda het afgegaan om Joram te besoek. **17** Terwyl die wag op die tooring in Jis'reël gestaan het, het hy Jehu se manne sien aankom. Hy het dadelik gesê: "Ek sien 'n groot groep manne wat aankom." Joram het gesê: "Stuur 'n perderuiter na hulle toe, en laat hom vra: 'Kom julle in vrede?'" **18** Toe het 'n perderuiter na hom gegaan en gesê: "Die koning vra of jy in vrede kom." Maar Jehu het gesê: "Hoe kan jy van 'vrede' praat? Ry agter my aan!"

Die wag het toe gesê: "Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy het nie teruggekome nie." **19** Daarna het Joram 'n tweede perderuiter uitgestuur. Toe hy by hulle kom, het hy gesê: "Die koning vra of jy in vrede kom." Maar Jehu het gesê: "Hoe kan jy van 'vrede' praat? Ry agter my aan!"

20 Die wag het toe gesê: "Hy het tot by hulle gekom, maar hy het nie teruggekome nie, en dit lyk asof dit Jehu, die kleinseun* van Nimsi, is wat hier aankom, want hy ry soos 'n mal mens." **21** Joram het gesê: "Kry my strydwa gereed!" Toe het hulle sy strydwa gereed gekry, en koning Joram van Israel en koning Aha'sia^a van Juda het elk een in sy eie strydwa na Jehu uitgegaan. Hulle het hom op die stuk grond van Nabot,^b die Jis'reëliet, ontmoet.

22 Toe Joram Jehu sien, het hy gevra: "Kom jy in vrede,

9:20 *Lett. "seun".

Jehu?" Maar hy het gesê: "Hoe kan daar vrede wees terwyl jou ma, Ise'bel,^a voortgaan om prostitusie en towery te beoefen?"^b

23 Joram het sy strydwa dadelik omgedraai om te vlug, en hy het vir Aha'sia gesê: "Aha'sia, dit is 'n lokval!" **24** Jehu het sy boog geneem en Joram tussen die skouers geskiet, en die pyl het by sy hart uitgekom, en hy het in sy strydwa inmeekaargesak. **25** Hy het toe vir Bidkar, die offisier wat by hom was, gesê: "Tel hom op en gooi hom op die stuk grond van Nabot, die Jisreëliet.^c Onthou jy toe ek en jy saam agter sy pa, Agab, gery het? Toe het Jehovah hierdie oordeel teen hom uitgespreek:^d **26** "So seker as wat ek gister die bloed van Nabot^e en die bloed van sy seuns gesien het," sê Jehovah, "so seker sal ek op jou wraak neem^f op hierdie stuk grond," sê Jehovah.' Tel hom dan nou op en gooi hom op die stuk grond, soos Jehovah gesê het."^g

27 Toe koning Aha'sia^h van Juda sien wat gebeur, het hy in die rigting van die tuinhuis gevlug. (Later het Jehu hom agternagesit en gesê: "Maak hom ook dood!") Hulle het hom toe in die strydwa gewond toe hy op pad was na Gur, wat by Jib'leamⁱ is. Maar hy het na Megid^d do gevlug en daar gesterf. **28** Toe het sy knegte hom in 'n strydwa na Jerusalem geneem, en hulle het hom in sy graf by sy voorvaders in die Stad van Dawid^j begrawe. **29** Dit was in die 11de jaar van Joram, die seun van Agab, dat Aha'sia^k koning oor Juda geword het.)

30 Toe Jehu by Jis'reël^l aankom, het Ise'bel^m daarvan gehoor. En sy het haar oë met swart verfⁿ geverf en haar kop

9:30 *Of "oogskadu".

HFST. 9

a 1Kn 16:31
1Kn 18:4
1Kn 19:2
1Kn 21:7

b Le 20:6
De 18:10
1Kn 18:19

c 1Kn 21:19

d 1Kn 21:29

e Ge 4:8,10
Ps 9:12
Ps 72:14

f Ge 9:5
Le 24:17

g 1Kn 21:24

h 2Kn 8:29
2Kr 22:7

i Jos 17:11

j 2Sa 5:7

k 2Kn 8:24
2Kr 22:2

l 1Kn 21:1

m 1Kn 16:31
1Kn 21:25

Tweede kol.

a 1Kn 16:15-19

b Eks 32:26
Ps 94:16

c 1Kn 16:31

d 2Kn 9:10

e Jes 55:10, 11

f 1Kn 21:23

HFST. 10

g 1Kn 16:29

h 1Kn 21:8

versier en deur die venster afgekyk. **31** Toe Jehu by die poort inkom, het sy gevra: "Het dit goed gegaan met Simri, wat sy heer vermoor het?"^a **32** Hy het na die venster opgekyk en gevra: "Wie is aan my kant? Wie?"^b Onmiddellik het twee of drie hofbeamptes na hom toe afgekyk. **33** Hy het gesê: "Gooi haar af!" Toe het hulle haar afgewooi, en van haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat, en hy het haar met sy perde vertrap. **34** Daarna het hy ingegaan en geëet en gedrink. Toe het hy gesê: "Neem hierdie vervloekte vrou asseblief en begrawe haar. Sy is darem die dogter van 'n koning."^c **35** Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, het hulle niks gevind nie behalwe haar skedel en haar voete en haar handpalms.^d **36** Toe hulle teruggaan en hom hiervan vertel, het hy gesê: "Dit vervul wat Jehovah^e deur middel van sy kneg Eli'a, die Tisbiet, gesê het: 'Op die stuk grond in Jis'reël sal die honde Ise'bel^f opeet. **37** En die lyk van Ise'bel sal op die stuk grond in Jis'reël soos mis op die oppervlak van die veld word, sodat hulle nie sal kan sê: "Dit is Ise'bel" nie.'" **10** Agab^g het 70 seuns in Samari'a gehad. Daarom het Jehu briewe geskryf en dit na Samari'a gestuur, aan die leiers van Jis'reël, die ouermanne^h en die oppassers van Agab se kinders.* Dit het gesê: **2** "Julle het die seuns van julle heer daar by julle, sowel as strydwaens, perde, 'n versterkte stad en wapens. Wanneer julle hierdie brief kry, **3** moet julle die beste en bekwaamste* seun van julle heer kies en hom op die troon van sy vader sit. Dan

10:1 * Lett. "die oppassers van Agab".
10:3 *Of "opregste".

moet julle veg vir die huis van julle heer.”

4 Maar hulle het baie bang geword en gesê: “As twee konings nie voor hom staande kon bly nie,^a hoe sal ons dan staande kan bly?” **5** Toe het die opsier van die paleis, die goewerneur van die stad, die ouermanne en die oppassers hierdie boodskap aan Jehu gestuur: “Ons is u knegte, en ons sal alles doen wat u vir ons sê. Ons sal niemand koning maak nie. Doen wat ook al goed is in u oë.”

6 Daarna het hy 'n tweede brief aan hulle geskryf en gesê: “As julle aan my behoort en aan my gehoorsaam wil wees, moet julle die koppe van die seuns van julle heer môre hierdie tyd na my toe bring in Jis'reël.”

En die 70 seuns van die koning was by die vooraanstaande manne van die stad wat hulle grootgemaak het. **7** Toe hulle die brief kry, het hulle die seuns van die koning geneem en hulle doodgemaak, 70 manne,^b en hulle het hulle koppe in mandjies gesit en dit na hom in Jis'reël gestuur. **8** Die boodskapper het ingegaan en vir hom gesê: “Hulle het die koppe van die koning se seuns gebring.” En hy het gesê: “Sit dit in twee hope by die ingang van die stadspoort tot die oggend toe.” **9** Hy het in die oggend uitgegaan en voor die hele volk gaan staan en gesê: “Julle is onskuldig.* Ek het teen my heer saamgeweer, en ek het hom doodgemaak.^c Maar wie het al hierdie manne doodgemaak? **10** Wees verseker dat nie een van Jehovah se woorde wat Jehovah teen die huis van Agab gespreek het, onvervuld sal bly* nie.^d Jehovah het gedoen wat hy

10:9 *Of “regverdig”. 10:10 *Lett. “op die aarde sal val”.

HFST. 10
a 2Kn 9:24, 27

b 1Kn 21:21

c 2Kn 9:14, 24

d 1Sa 15:29
Jes 14:27

Tweede kol.

a 1Kn 21:19-24
2Kn 9:7, 36

b 1Kn 18:19
2Kn 23:19, 20

c 1Kn 21:21

d 2Kn 8:29
2Kn 9:21, 27
2Kr 22:1

e 2Kr 22:8

f Jer 35:6, 19

g 1Kr 2:55

h Nu 25:11
1Kn 19:10

deur middel van sy kneg Eli'a gesê het.”^a **11** En Jehu het almal doodgemaak wat van die huis van Agab in Jis'reël oorgebly het, sowel as al sy vooraanstaande manne, sy vriende en sy priesters,^b totdat daar niemand van sy huis oorgebly het nie.^c

12 Toe het hy na Samari'a gegaan. En hy het by die bindhuis* van die herders verbygegaan. **13** Daar het Jehu die broers van koning Aha'sia^d van Juda teëgekom en vir hulle gevra: “Wie is julle?” Hulle het geantwoord: “Ons is die broers van Aha'sia, en ons is op pad om te gaan vra of dit goed gaan met die seuns van die koning en die seuns van die koninginmoeder.”* **14** Hy het onmiddellik gesê: “Vang hulle!” Toe het hulle hulle gevang en by die reënput van die bindhuis doodgemaak, 42 manne. Hy het nie een van hulle laat oorbly nie.^e

15 Toe hy verder gaan, het hy Jo'nadab,^f die seun van Regab,^g teëgekom wat op pad was na hom toe. Toe hy hom groet,* het hy vir hom gevra: “Is jy met jou hele hart lojaal aan my, net soos ek met my hele hart lojaal is aan jou?”

Jo'nadab het geantwoord: “Ja, ek is.”

“As dit die geval is, gee my jou hand.”

Hy het hom sy hand gegee, en Jehu het hom gehelp om op sy strydwa te klim. **16** Toe het hy gesê: “Kom saam met my. Dan sal jy sien dat ek geen teenstand teen Jehovah duld nie.”**^h En Jehu het hom op sy strydwa laat ry. **17** Toe Jehu in

10:12 *Blykbaar 'n plek waar skape vasgemaak is om geskeer te word. 10:13 *Of “die dame”. 10:15 *Of “seën”. 10:16 *Of “my ywer vir Jehovah sien”.

Samari'a aankom, het hy almal doodgemaak wat van die huis van Agab in Samari'a oorgebly het.^a Hy het hulle uitgeroei, net soos Jehovah vir Eli'a gesê het.^b

18 Daarna het Jehu die hele volk bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Agab het Baäl aanbid.^c Maar dit sal niks wees in vergelyking met hoe Jehu hom sal aanbid nie. **19** Roep dus al die profete van Baäl,^d al sy aanbidders en al sy priesters^e na my toe. Maak seker dat almal kom, want ek wil 'n groot offerande aan Baäl offer. Elkeen wat nie daar is nie, sal doodgemaak word." Maar Jehu het slinks opgetree om die aanbidders van Baäl te vernietig.

20 Jehu het verder gesê: "Kondig* 'n heilige vergadering vir Baäl aan." Toe het hulle dit gedoen. **21** Daarna het Jehu 'n boodskap deur die hele Israel gestuur, en al die aanbidders van Baäl het gekom. Daar was nie een wat nie gekom het nie. Hulle het in die tempel van Baäl^f ingegaan, en die tempel van Baäl was vol van hoek tot kant. **22** Hy het vir die een wat oor die klerekamer was, gesê: "Bring klere uit vir al die aanbidders van Baäl." Toe het hy die klere vir hulle uitbring. **23** Jehu en Jo'nadab,^g die seun van Regab, het in die tempel van Baäl ingegaan. En hy het vir die aanbidders van Baäl gesê: "Maak seker dat daar geen aanbidders van Jehovah hier is nie, maar net aanbidders van Baäl." **24** Uiteindelik het hulle ingegaan om offerandes en brandoffers te offer. Jehu het 80 van sy manne buite laat staan en gesê: "As enigiemand enige van die manne laat ontsnap wat ek aan julle oorlewer, sal hy met sy lewe betaal."

10:20 *Lett. "Heilig".

HFST. 10

a 2Kn 9:8
2Kr 22:7

b 1Kn 21:20, 21
2Kn 9:26

c 1Kn 16:32, 33
1Kn 18:22

d 2Kn 3:13

e 2Kn 10:11

f 1Kn 16:30, 32

g 2Kn 10:15
Jer 35:6, 19

Tweede kol.

a Eks 32:26, 27
De 13:6-9
Ese 9:5

b Le 26:1

c De 7:25

d Le 26:30
De 7:5

e 1Kn 16:30, 32

f 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
Ho 8:6

g 1Kn 21:21

h 2Kn 13:1, 10
2Kn 14:23
2Kn 15:8, 12

i De 10:12
Ho 1:4

j 1Kn 12:28-30
1Kn 13:34
1Kn 14:16

k 1Kn 19:17
2Kn 8:12
2Kn 13:22

25 Onmiddellik nadat hy die brandoffer geoffer het, het Jehu vir die wagte* en die offisiere gesê: "Kom in en maak hulle dood! Maak seker dat nie een ontsnap nie!"^a Toe het die wagte en die offisiere hulle met die swaard doodgemaak en hulle uitgegooi, en hulle het tot by die binneste heiligdom^b van die tempel van Baäl gegaan. **26** Toe het hulle die heilige pilare^b van die tempel van Baäl uitbring en dit verbrand.^c **27** Hulle het die heilige pilaar^d van Baäl afgebreek. Hulle het ook die tempel van Baäl^e afgebreek en openbare toilette daarvan gemaak, en dit is vandag nog so.

28 So het Jehu Baälaanbidding uit Israel uitgeroei. **29** Maar Jehu het nie afgewyk van die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie, naamlik die aanbidding van die goue kalwers in Bet-El en in Dan.^f **30** Jehovah het vir Jehu gesê: "Omdat jy gedoen het wat goed en reg is in my oë deur alles uit te voer wat in my hart was in verband met die huis van Agab,^g sal vier geslagte van jou seuns op die troon van Israel sit."^h **31** Maar Jehu het nie die Wet van Jehovah, die God van Israel, met sy hele hart gevolg nie.ⁱ Hy het nie afgewyk van die sondes wat Jero'beam Israel laat pleeg het nie.^j

32 In daardie dae het Jehovah Israel stuk vir stuk begin afsny.* Ha'sael het verskeie dele van Israel bly aanval^k **33** in die gebied oos van die Jordaanrivier: die hele land Gi'lead - die gebiede van die Gadiete, die Ru-

10:25 *Lett. "hardlopers". ^aLett. "die stad", moontlik 'n vesting. 10:32 *Of "verminder".

beniete en die Manassiete^a – van A'roër af, wat langs die Arnonvallei* is, tot by Gílead en Basan.^b

34 En wat die res van die geskiedenis van Jehu betref, alles wat hy gedoen het en al sy magtige dade, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **35** Jehu het gesterf,* en hulle het hom in Samari'a begrawe. En sy seun Jo'ahas^c het in sy plek koning geword. **36** Jehu het 28 jaar lank in Samari'a oor Israel regeer.

11 Toe Ata'lia,^d Aha'sia se ma, sien dat haar seun dood is,^e het sy besluit om die hele koninklike geslagslyn* uit te roei.^f **2** Maar Jose'ba, die dogter van koning Joram, die suster van Aha'sia, het Joas,^g Aha'sia se seun, weggevat tussen die seuns van die koning wat doodgemaak sou word, en sy het hom en sy oppasser in 'n binneste slaapkamer gehou. Hulle het dit reggekry om hom vir Ata'lia weg te steek, en daarom is hy nie doodgemaak nie. **3** Hy is ses jaar lank by haar in die huis van Jehovah weggesteek, terwyl Ata'lia oor die land regeer het.

4 In die sewende jaar het Joja'da die hoofde oor 100 van die Kariese lyfwag en van die paleiswagte^{*h} laat roep om na hom toe te kom by die huis van Jehovah. Hy het 'n verbond met hulle gemaak en hulle in die huis van Jehovah laat sweer dat hulle daarby sal bly, en daarna het hy vir hulle die koning se seun gewys.ⁱ **5** Hy het vir hulle gesê: "Dit is wat julle moet doen:

10:33 *Of "wadi Arnon". Sien Woordelys. **10:35** *Lett. "is by sy vaders neergelê". **11:1** *Lett. "al die saad van die koninkryk". **11:4** *Lett. "die hardlopers".

HFST. 10

a Nu 32:33
Jos 22:9

b De 3:13-16
De 28:63
Jos 13:8-12

c 2Kn 13:1

HFST. 11

d 2Kn 8:26
2Kn 11:20
2Kr 21:5, 6
2Kr 24:7

e 2Kn 9:27

f 2Kr 21:4
2Kr 22:10-12

g 2Kn 12:1

h 1Kn 14:27

i 2Kr 23:1-3

Tweede kol.

a 1Kn 7:1
2Kr 23:4-7

b 2Kn 11:4

c 2Kr 23:8-11

d 1Kn 14:27

e 1Kn 8:22
2Kr 4:1

f 2Kn 11:2

g Eks 25:21
Eks 31:18

h 1Kn 1:39, 40

'n Derde van julle moet op die Sabbat aan diens wees en moet wag hou oor die koning se paleis,^a **6** 'n derde moet by die Fondamentpoort staan en 'n derde moet by die poort agter die paleiswagte staan. Julle moet beurte neem om oor die huis wag te hou. **7** Die twee afdelings wat veronderstel is om op die Sabbat van diens af te wees, moet wag hou oor die huis van Jehovah om die koning te beskerm. **8** Julle moet die koning omring, elkeen met sy wapens in sy hand. Enigiemand wat deur die rye soldate probeer kom, moet doodgemaak word. Bly by die koning waar hy ook al gaan.**

9 Die hoofde oor 100^b het presies gedoen wat die priester Joja'da beveel het. Elkeen het sy manne bymekaargeroep – dié wat op die Sabbat aan diens was, sowel as dié wat nie op die Sabbat aan diens was nie – en hulle het na die priester Joja'da^c gegaan. **10** Die priester het toe vir die hoofde oor 100 die spiese en die ronde skilde gegee wat aan koning Dawid behoort het en wat in die huis van Jehovah was. **11** En die paleiswagte^d het hulle plekke reg rondom die koning, naby die altaar^e en die huis, ingeneem. Hulle het met hulle wapens in hulle hande gestaan, van die regterkant van die huis af tot by die linkerkant van die huis. **12** Toe het Joja'da die koning se seun^f uitgebring en die kroon en die Getuienis^{*g} op hom gesit, en hulle het hom koning gemaak en hom gesalf. Hulle het begin hande klap en gesê: "Lank lewe die koning!"^h

11:8 *Lett. "wanneer hy uitgaan en wanneer hy inkom". **11:12** *Moontlik 'n boekrol wat die Wet van God bevat het.

13 Toe Ata'lia die mense hoor hardloop, het sy dadelik na die mense toe gegaan by die huis van Jehovah.^a 14 Sy het die koning by die pilaar sien staan, soos dit die gebruik was.^b En die hoofde en die trompetblasers^c was by die koning, en al die mense van die land was vreugdevol en het op die trompette geblaas. Ata'lia het toe haar klere geskeur en uitgeroep: "n Sameswering! n Sameswering!" 15 Maar die priester Joja'da het vir die hoofde oor 100,^d dié wat oor die leëmag aangestel was, gesê: "Neem haar tussen die rye soldate uit, en maak enigeen wat haar volg, met die swaard dood! Moet haar nie in die huis van Jehovah doodmaak nie." 16 Hulle het haar gegryp, en toe hulle by die plek kom waar die perde by die koning se paleis^e ingaan, het hulle haar daar doodgemaak.

17 Toe het Joja'da 'n verbond gemaak tussen Jehovah en die koning en die volk.^f Hulle het belowe dat hulle sal voortgaan om die volk van Jehovah te wees. Hy het ook 'n verbond gemaak tussen die koning en die volk.^g 18 Daarna het die hele volk* na die tempel van Baäl gegaan en sy altare afgebreek,^h sy beelde heeltemal stukkend geslaanⁱ en Mattan, die priester van Baäl, voor die altare doodgemaak.^j

Toe het die priester opsieners oor die huis van Jehovah aangestel.^k 19 Hy het ook die hoofde oor 100,^l die Kariese lyfwag, die paleiswagte^m en die hele volk gekry om die koning van die huis van Jehovah af deur die poort van die paleiswagte na die koning se paleis te neem. Hy het toe op die

11:18 *Lett. "volk van die land".

HFST. 11

a 2Kr 23:12-15

b 2Kn 23:3

c 2Kr 5:12

d 2Kn 11:4
2Kr 23:9

e 1Kn 7:1

f 1Sa 10:25
2Sa 5:3

g 2Kr 23:16, 17

h De 12:3

i De 7:25

j De 13:5

k 2Kr 23:18-21

l 2Kn 11:4, 15

m 1Kn 14:27

Tweede kol.

a 2Sa 7:8, 16

b 2Kn 11:2

c 2Kr 24:1

HFST. 12

d 1Kn 19:16
2Kn 10:30

e 2Kn 11:2
1Kr 3:10, 11

f 2Kr 24:1, 2

g Nu 33:52

h 2Kr 31:12

i Eks 30:13
2Kr 24:9

j Eks 25:2
Eks 35:21

k 2Kr 24:7

l 2Kr 24:5

m 2Kn 11:4
2Kr 23:1
2Kr 24:15

n 2Kr 24:6

troon van die konings gaan sit.^a

20 Al die mense van die land was bly en daar was vrede in die stad, want hulle het Ata'lia by die koning se paleis met die swaard doodgemaak.

21 Joas^b was sewe jaar oud toe hy koning geword het.^c

12 In die sewende jaar van Jehu^d het Joas^e koning geword, en hy het 40 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Sib'ja van Berse'ba.^f 2 Terwyl die priester Joja'da Joas onderig het, het Joas bly doen wat reg is in Jehovah se oë. 3 Maar die offerhoogtes^g is nie verwyder nie, en die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes geoffer en offerrook laat opgaan.

4 Joas het vir die priesters gesê: "Neem al die geld vir die heilige offers^h wat na die huis van Jehovah gebring word: die vasgestelde bedrag wat elkeen moet betaal,ⁱ die geld wat gegee word as die vasgestelde waarde van 'n persoon en al die geld wat elkeen se hart hom beweeg om na die huis van Jehovah te bring.^j 5 Die priesters moet dit self by die skenkers* neem en dit gebruik om die huis te herstel, waar daar ook al skade^k is."^k

6 Teen die 23ste jaar van koning Joas het die priesters nog nie die skade aan die huis herstel nie.^l 7 Daarom het koning Joas die priester Joja'da^m en die ander priesters geroep en vir hulle gesê: "Hoekom herstel julle nie die huis nie? Moenie nog geld van die skenkers neem tensy julle dit gaan gebruik om die huis te herstel nie."ⁿ 8 Die priesters het toe ingestem om nie meer geld van die volk te neem nie en om nie verantwoor-

12:5 *Of "hulle kennis". #Of "kruke".

delik te wees vir die herstelwerk aan die huis nie.

9 Daarna het die priester Joja'da 'n kis geneem^a en 'n gat in die deksel daarvan geboor en dit langs die altaar gesit, aan die regterkant as 'n mens in die huis van Jehovah inkom. Die priesters wat as deurwagters gedien het, het al die geld wat in die huis van Jehovah ingebring is, daarin gegooi.^b **10** Wanneer hulle gesien het dat daar baie geld in die kis is, het die sekretaris van die koning en die hoëpriester die geld wat na die huis van Jehovah gebring is, kom haal* en dit getel.^c **11** Hulle het die geld wat getel is, gegee aan dié wat aangestel was om toesig te hou oor die werk by die huis van Jehovah. Hulle het dan die houtwerkers en die bouers wat aan die huis van Jehovah gewerk het, daarmee betaal,^d **12** sowel as die menseleers en die klipkappers. Verder het hulle balke en gekapte klippe gekoop om die huis van Jehovah te herstel, en hulle het die geld ook gebruik vir die ander uitgawes in verband met die herstelwerk aan die huis.

13 Maar die geld wat na die huis van Jehovah gebring is, is nie gebruik om silwerkomme, blussers, bakke, trompette^e of enige ander voorwerp van goud of silwer vir die huis van Jehovah te maak nie.^f **14** Hulle het dit net gegee aan dié wat die werk gedoen het, en hulle het die huis van Jehovah daarmee herstel. **15** Hulle het nie verwag dat die manne wat die geld ontvang het om aan die werkers te gee, verslag oor die geld moes doen nie, want hulle was betroubaar.^g **16** Maar die geld vir skuldoffers^h en die geld vir

12:10 *Of "in sakke gesit". Lett. "gebind".

HFST. 12

a 2Kr 24:8
Mr 12:41
Lu 21:1

b 2Kr 24:10

c 2Kr 24:11

d 2Kn 22:4-6
2Kr 24:12

e Nu 10:2
2Kr 5:12

f 2Kr 24:14

g 2Kn 22:7

h Le 5:15

Tweede kol.

a Le 7:7
Nu 18:8

b 1Kn 19:15
2Kn 8:13
2Kn 10:32

c 1Kr 18:1

d 2Kr 24:23

e 1Kn 15:18
2Kn 16:8
2Kn 18:15

f 2Kr 24:25, 26
2Kr 25:27

g 2Sa 5:9
1Kn 9:15, 24
2Kr 32:5

h 2Kn 14:1, 5

i 2Kr 24:27

HFST. 13

j 2Kn 10:30, 35

k 2Kn 11:2, 21

l 2Kn 8:26
2Kn 9:27

m 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
1Kn 14:16

n Heb 12:29

o Le 26:14, 17

sonde-offers is nie na die huis van Jehovah gebring nie. Dit het aan die priesters behoort.^a

17 In daardie tyd het Ha'sael,^b die koning van Sirië, teen Gat^c gaan veg en dit ingeneem, en daarna het hy besluit om Jerusalem aan te val.^d **18** Toe het koning Joas van Juda al die heilige offers geneem wat sy voorvaders Jo'safat, Joram en Aha'sia, die konings van Juda, geheilig het, sowel as sy eie heilige offers en al die goud wat in die skatkamers van die huis van Jehovah en die koning se paleis gevind kon word, en dit na Ha'sael, die koning van Sirië, gestuur.^e Toe het hy van Jerusalem af weggetrek.

19 Die res van die geskiedenis van Joas, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **20** Joas se knegte het teen hom saamgesweer^f en het hom doodgemaak by die huis van die Wal,^g op die pad wat na Silla afgaan. **21** Sy knegte Jo'sakar, die seun van Si'meat, en Jo'sabad, die seun van Somer, het hom doodgemaak.^h Hulle het hom by sy voorvaders in die Stad van Dawid begrawe, en sy seun Ama'sia het in sy plek koning geword.ⁱ

13 Jo'ahas, die seun van Jehu,^j het in Samari'a koning oor Israel geword in die 23ste jaar van Joas,^k die seun van Aha'sia,^l die koning van Juda, en hy het 17 jaar lank regeer. **2** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë en hy het aangehou met die sonde wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het.^m Hy het nie daarvan afgewyk nie. **3** Daarom het Jehovah baie kwaad gewordⁿ vir Israel,^o en hy het hulle

12:20 *Of "by Bet-Millo".

in die hand gegee van koning Ha'sael^a van Sirië en in die hand van Ben-Hadad,^b die seun van Ha'sael, al hulle dae.

4 Ná verloop van tyd het Jo'ahas Jehovah om genade gesmeek,* en Jehovah het na hom geluister, want hy het gesien hoe die koning van Sirië Israel onderdruk.^c **5** Jehovah het toe vir Israel 'n redder voorsien^d om hulle uit Sirië se greep te bevry. En die Israëliete kon toe weer in hulle huise woon soos voorheen.* **6** (Maar hulle het nie afgewyk van die sonde wat die huis van Jero'beam Israel laat pleeg het nie.^e Hulle het aangehou om hierdie sondes te pleeg,* en die heilige paal^{ff} het in Samari'a bly staan.) **7** Jo'ahas het net 50 perderuiters, 10 strydwaens en 10 000 voetsoldate in sy leërmag oorgehad, want die koning van Sirië het hulle vernietig^g en hulle vertrap soos die stof op 'n dorsvloer.^h

8 Wat die res van die geskiedenis van Jo'ahas betref, alles wat hy gedoen het en sy magtige dae, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **9** Jo'ahas het gesterf,* en hy is in Samari'a by sy voorvaders begrawe.ⁱ En sy seun Joas het in sy plek koning geword.

10 In die 37ste jaar van koning Joas van Juda het Joas,^j die seun van Jo'ahas, in Samari'a koning oor Israel geword, en hy het 16 jaar lank regeer. **11** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë en het nie afgewyk van al die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^k Hy het

13:4 *Of "se aangesig versag". **13:5** *D.w.s. in vrede en veiligheid. **13:6, 11** *Lett. "Hy het daarin gewandel". **13:6** *Sien Woordelys. **13:9, 13** *Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 13

a 1Kn 19:17
2Kn 8:12

b 2Kn 13:24

c Eks 3:7
Rig 10:16
2Kn 14:26, 27

d Ne 9:27

e 2Kn 10:29
2Kn 17:21f De 7:5
1Kn 14:15
1Kn 16:33g 2Kn 8:12
2Kn 10:32

h Am 1:3

i 2Kn 10:35

j 2Kn 14:1

k 2Kn 10:29

Tweede kol.

a 2Kn 14:8, 13

b 2Kn 14:28

c 2Kn 10:35
2Kn 13:9

d 1Kn 19:16

e 2Kn 2:11, 12

f 1Sa 29:1
1Kn 20:26

aangehou om hierdie sondes te pleeg.*

12 Wat die res van die geskiedenis van Joas betref, alles wat hy gedoen het en sy magtige dae en hoe hy teen koning Ama'sia van Juda geveg het,^a dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **13** Joas het gesterf,* en Jero'beam^{bb} het op sy troon gaan sit. En Joas is in Samari'a by die konings van Israel begrawe.^c

14 Wat Eli'sa^d betref, hy het siek geword – 'n siekte waaraan hy uiteindelik gesterf het – en Joas, die koning van Israel, het na hom toe gegaan en oor hom gehuil en gesê: "My vader, my vader! Die strydwa van Israel en sy perderuiters!"^e **15** Eli'sa het toe vir hom gesê: "Neem 'n boog en pyle." En hy het 'n boog en pyle geneem. **16** Hy het vir die koning van Israel gesê: "Maak gereed om te skiet." Toe het hy gereedgemaak om te skiet, en Eli'sa het sy hande op die koning se hande gesit. **17** Toe het hy gesê: "Maak die venster aan die oostekant oop." En hy het dit oopgemaak. Eli'sa het gesê: "Skiet!" En hy het geskiet. Hy het toe gesê: "Jehovah se pyl van oorwinning,* die pyl van oorwinning oor^{ff} Sirië! Jy sal Sirië heeltemal verslaan by Afek."^{ff}

18 Hy het verder gesê: "Neem die pyle," en hy het dit geneem. Toe het hy vir die koning van Israel gesê: "Slaan teen die grond." En hy het die grond drie keer geslaan en opgehou. **19** Die man van die ware God het toe vir hom kwaad geword en gesê: "Jy moes die grond vyf of ses keer geslaan het! Dan sou jy Sirië heeltemal

13:13 *D.w.s. Jero'beam II. **13:17** *Of "redding". *Of "redding teen".

verslaan het, maar nou sal jy Sirië net drie keer verslaan.”^a

20 Daarna het Eli’sa gesterf en is hy begrawe. En daar was Moabitiese rowerbendes^b wat gereeld aan die begin van die jaar* in die land ingekom het. **21** Op ’n dag was ’n paar manne besig om ’n man te begrawe, en hulle het ’n rowerbende sien aankom. Hulle het die man toe in Eli’sa se graf gegooi en weggehardloop. Toe die man aan die beendere van Eli’sa raak, het hy lewend geword^c en op sy voete gaan staan.

22 Koning Ha’sael^d van Sirië het Israel al die dae van Jo’ahas onderdruk.^e **23** Maar Jehovah was goed en genadig teenoor hulle^f en het sy besorgdheid oor hulle betoon ter wille van sy verbond met Abraham,^g Isak^h en Jakob.ⁱ Hy wou hulle nie vernietig nie, en hy het hulle tot vandag toe nie verwerp nie. **24** Toe koning Ha’sael van Sirië gesterf het, het sy seun Ben-Hadad in sy plek koning geword. **25** Joas, die seun van Jo’ahas, het die stede teruggeneem wat Ben-Hadad, die seun van Ha’sael, in die oorlog van sy pa, Jo’ahas, geneem het. Joas het hom drie keer verslaan,^j en hy het die stede van Israel teruggeneem.

14 Ama’sia, die seun van koning Joas^k van Juda, het koning geword in die tweede jaar van Joas, die seun van Jo’ahas, die koning van Israel. **2** Hy was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 29 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jo’addin van Jerusalem.^l **3** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, maar nie soos sy voorvader Da-

13:20 *Leet. “met die ingang van die jaar”, moontlik in die lente.

HFST. 13

a 2Kn 13:25

b 2Kn 1:1
2Kn 24:2

c Joh 11:44
Heb 11:35

d 1Kn 19:15

e 2Kn 8:12
2Kn 10:32

f 2Kn 14:26, 27

g Ge 13:14-16

h Ge 26:3

i Ge 28:13
Ps 105:8
Mi 7:20

j 2Kn 13:19

HFST. 14

k 2Kn 13:10

l 2Kr 25:1-4

Tweede kol.

a 1Kn 15:5

b 2Kr 24:2

c 1Kn 15:14

d 2Kn 12:1, 3

e 2Kn 12:20
2Kr 24:25

f De 24:16

g 2Kn 8:20

h 2Sa 8:13
1Kr 18:12

i 2Kr 25:11, 12

j 2Kr 25:17-19

k 2Kn 14:7

l 2Kr 25:15, 16

wid nie.^a Hy het alles gedoen wat sy pa, Joas, gedoen het.^b

4 Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie,^c en die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes geoffer en offerrook laat opgaan.^d **5** Toe hy ten volle in beheer was van die koninkryk, het hy sy knegte doodgemaak wat sy pa, die koning, vermoor het.^e **6** Maar hy het nie die kinders van die moorde-naars doodgemaak nie, want hy het gebly by Jehovah se bevel wat in die Wetboek van Moses geskryf staan: “Vaders mag nie vir die sonde van hulle kinders doodgemaak word nie, en kinders mag nie vir die sonde van hulle vaders doodgemaak word nie. Elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.”^f **7** Hy het die Edomiete^g in die Soutvallei verslaan,^h 10 000 manne, en hy het Sela in die oorlog verower,ⁱ en van toe af is dit Jok’teel genoem, soos dit vandag nog bekend staan.

8 Toe het Ama’sia boodskappers gestuur na koning Joas van Israel, die seun van Jo’ahas, die seun van Jehu, en gesê: “Kom, laat ons teen mekaar veg.”^j **9** Koning Joas van Israel het hierdie boodskap aan koning Ama’sia van Juda gestuur: “Die doringrige onkruid in die Li’banon-berge het ’n boodskap aan die sederboom in die Li’banon-berge gestuur en gesê: ‘Gee jou dogter aan my seun as vrou.’ Maar ’n wilde dier van die Li’banon het verbygeleef en die doringrige onkruid vertrap. **10** Ja, jy het Edom verslaan,^k en nou het jy hoogmoedig geword. Geniet jou eer, maar bly in jou eie paleis. Hoe kom moet jy moeilikheid soek en Juda saam met jou laat val?” **11** Maar Ama’sia het nie geluister nie.^l

Toe het koning Joas van Israel teen koning Ama'sia van Juda opgetrek, en hulle het teen mekaar geveg by Bet-Semes^a in Juda.^b **12** Juda is deur Israel verslaan, en elkeen het na sy huis* gevlug. **13** Koning Joas van Israel het koning Ama'sia van Juda, die seun van Joas, die seun van Aha'sia, by Bet-Semes gevange geneem. Daarna het hulle na Jerusalem gegaan, en hy het 400 el* van die muur van Jerusalem afgebreek, van die E'fraim-poort^c af tot by die Hoekpoort.^d **14** Hy het al die goud en silwer en al die voorwerpe geneem wat in die huis van Jehovah en in die skatkamers van die koning se paleis was. Hy het ook gyselaars geneem, en toe het hy na Samari'a teruggekeer.

15 Wat die res van die geskiedenis van Joas betref, wat hy gedoen het en sy magtige daade en hoe hy teen koning Ama'sia van Juda geveg het, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **16** Joas het gesterf,* en hy is in Samari'a by die konings van Israel begrawe.^e En sy seun Jero'beam^f het in sy plek koning geword.

17 Ama'sia,^g die seun van koning Joas van Juda, het nog 15 jaar gelewe ná die dood van Joas,^h die seun van koning Jo'ahas van Israel.ⁱ **18** Die res van die geskiedenis van Ama'sia is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **19** Later het manne in Jerusalem teen hom saamgesweer.^j Hy het na Lagis gevlug, maar hulle het manne agter hom aan ge-

14:12 *Lett. "tent". **14:13** *Omtrent 178 m. Sien Aanh. B14. **14:16** *Lett. "is by sy vaders neergelê". #D.w.s. Jero'beam II.

HFST. 14

a Jos 15:10, 12
Jos 21:8, 16

b 2Kr 25:20-24

c Ne 8:16
Ne 12:38, 39

d Jer 31:38
Sag 14:10

e 2Kn 10:35
2Kn 13:9

f Ho 1:1
Am 1:1
Am 7:10

g 2Kn 14:1

h 2Kn 13:10

i 2Kr 25:25-28

j 2Kn 12:20

Tweede kol.

a 1Kn 2:10

b Mt 1:8

c 2Kn 15:1, 2

d 2Kr 26:1

e De 2:8
1Kn 9:26
2Kn 16:6

f 2Kr 26:2

g Ho 1:1
Am 1:1

h 1Kn 12:28-30
1Kn 13:34
Ps 106:20

i Nu 13:21
Nu 34:2, 7, 8

j De 3:16, 17

k Jon 1:1
Mt 12:39

l Jos 19:10, 13

m Eks 3:7
Rig 10:16
Ps 106:43, 44

n Jer 31:20

o 2Kn 13:4, 5

stuur en hom in Lagis doodgemaak. **20** Toe het hulle hom op perde teruggeneem, en hy is in Jerusalem by sy voorvaders in die stad van Dawid begrawe.^a **21** Daarna het die hele volk van Juda Asar'ja,^{*b} wat toe 16 jaar oud was,^c koning gemaak in die plek van sy pa, Ama'sia.^d **22** Hy het Elat^e herbou en dit vir Juda teruggekry nadat die koning* gesterf het.^{ff}

23 In die 15de jaar van Ama'sia, die seun van Joas, die koning van Juda, het Jero'beam,^g die seun van koning Joas van Israel, in Samari'a koning geword, en hy het 41 jaar lank regeer. **24** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë. Hy het nie afgewyk van al die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^h **25** Hy het die oorspronklike grense van Israel herstel, van Lebo-Hamat^{*i} af tot by die See van die A'raba,^{*j} in ooreenstemming met wat Jehovah, die God van Israel, gesê het deur middel van sy kneg Jona,^k die seun van Amit'tai, die profeet wat van Gat-Hefer^l was. **26** Want Jehovah het gesien dat Israel bitter swaarkry.^m Daar was niemand oor wat Israel kon help nie, nie eers 'n hulpelose of 'n swakke nie. **27** Maar Jehovah het belowe om nie die naam van Israel onder die hemel uit te wis nie.ⁿ Daarom het hy hulle deur die hand van Jero'beam, die seun van Joas, gered.^o

28 Wat die res van die geskiedenis van Jero'beam betref, alles wat hy gedoen het en sy

14:21 *Beteken "Jehovah het gehelp". Hy word Ussia genoem in 2Kn 15:13; 2Kr 26:1-23; Jes 6:1 en Sag 14:5. **14:22** *D.w.s. sy pa, Amasia. #Lett. "by sy vaders neergelê is". **14:25** *Of "die ingang van Hamat". #Ook die Soutsee of die Doorie See genoem.

magtige daade, hoe hy gevege het en hoe hy Damaskus^a en Hamat^b vir Juda in Israel teruggekry het, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **29** Jero'beam het gesterf, en hy is by sy voorvaders, die konings van Israel, begrawe. En sy seun Sagari'a^c het in sy plek koning geword.

15 Asar'ja,^{*d} die seun van koning Ama'sia^e van Juda, het koning geword^f in die 27ste jaar van koning Jero'beam^g van Israel. **2** Hy was 16 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 52 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jegol'ja van Jerusalem. **3** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Ama'sia, gedoen het.^g **4** Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie,^h en die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes geoffer en offerrook laat opgaan.ⁱ **5** Jehovah het die koning met melaatsheid getref, en hy het tot die dag van sy dood 'n melaatsse gebly.^j Hy het in 'n aparte huis gewoon,^k terwyl Jotam,^l die koning se seun, oor die paleis was en as regter vir die volk van die land opgetree het.^m **6** Die res van die geskiedenis van Asar'ja,ⁿ alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **7** Asar'ja het gesterf,^{*o} en hulle het hom by sy voorvaders in die Stad van Dawid begrawe. En sy seun Jotam het in sy plek koning geword.

8 In die 38ste jaar van koning Asar'ja^p van Juda het Sagari'a,^q die seun van Jero'beam,

15:1 *Betekent "Jehovah het gehelp". Hy word Ussia genoem in 2Kn 15:13; 2Kr 26:1-23; Jes 6:1 en Sag 14:5. *D.w.s. Jerobeam II. 15:7 *Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 14

a 2Sa 8:6

b 2Kr 8:3

c 2Kn 15:8

HFST. 15

d 2Kn 14:21

e 2Kn 14:1

f 2Kr 26:1, 3

g 2Kr 26:4, 5

h Nu 33:52

i De 12:13, 14
1Kn 22:41, 43
2Kn 14:1, 4

j Nu 12:10
2Kn 5:27

k Le 13:45, 46

l 2Kn 15:32

m 2Kr 26:16-21

n 2Kr 26:22, 23

o Jes 6:1

p 2Kn 14:21

q 2Kn 14:29

Tweede kol.

a 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
1Kn 14:16

b Jos 17:11

c Ho 1:4
Am 7:9

d 2Kn 13:1, 10
2Kn 14:23, 29

e 2Kn 10:30

f 2Kr 26:1

g 1Kn 14:17
1Kn 15:21
1Kn 16:8, 17

h 2Kn 15:10

in Samari'a koning oor Israel geword, en hy het ses maande lank regeer. **9** Hy het gedoen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos sy voorvaders gedoen het. Hy het nie afgewyk van die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^a **10** Toe het Sallum, die seun van Jabes, teen hom saamgesweer en hom by Jib'leam^b doodgemaak.^c Nadat hy hom doodgemaak het, het hy in sy plek koning geword. **11** Die res van die geskiedenis van Sagari'a is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **12** Dit het vervul wat Jehovah vir Jehu gesê het: "Vier geslagte van jou seuns^d sal op die troon van Israel sit."^e En dit is wat gebeur het.

13 Sallum, die seun van Jabes, het koning geword in die 39ste jaar van koning Ussi'a^f van Juda, en hy het 'n maand lank in Samari'a regeer. **14** Toe het Mena'hem, die seun van Gadi, van Tirsa^g af na Samari'a gegaan en Sallum,^h die seun van Jabes, in Samari'a doodgemaak. Nadat hy hom doodgemaak het, het hy in sy plek koning geword. **15** Die res van die geskiedenis van Sallum en sy sameswering is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **16** Toe het Mena'hem van Tirsa af na Tif-sag gegaan en al die inwoners van die stad en die omliggende gebied doodgemaak omdat hulle nie hulle poorte vir hom oopgemaak het nie. Hy het die stad verwoes en die swanger vrouens oopgesny.

17 In die 39ste jaar van koning Asar'ja van Juda het Mena'hem, die seun van Gadi, koning oor Israel geword, en hy het tien jaar lank in Samari'a

regeer. **18** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë. Hy het sy hele lewe lank nie afgewyk van al die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^a **19** Koning Pul^b van Assirië het die land binnegeval, en Mena'hem het vir Pul 1000 talente* silwer gegee sodat Pul hom sou help om sy houvas op die koninkryk te versterk.^c **20** Toe het Mena'hem die silwer in Israel ingesamel deur dit te eis van die vooraanstaande, ryk manne.^d Hy het vir die koning van Assirië 50 sikkels* silwer vir elke man gegee. Toe het die koning van Assirië teruggedraai, en hy het nie in die land gebly nie. **21** Die res van die geskiedenis van Mena'hem,^e alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **22** Mena'hem het gesterf,* en sy seun Peka'hia het in sy plek koning geword.

23 In die 50ste jaar van koning Asar'ja van Juda het Peka'hia, die seun van Mena'hem, in Samari'a koning oor Israel geword, en hy het twee jaar lank regeer. **24** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë. Hy het nie afgewyk van die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^f **25** Toe het een van sy offisiere, Peka,^g die seun van Rema'lia, teen hom saamgesweer en hom in Samari'a in die versterkte toring van die koning se paleis saam met Argob en Arje doodgemaak. Hy het 50 manne van Gi'lead by hom gehad, en nadat hy hom doodgemaak het,

15:19 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. 15:20 *n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. 15:22 * Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 15

a 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
1Kn 14:16

b 1Kr 5:26

c 2Kn 12:18
2Kn 16:8

d 2Kn 23:35

e 2Kn 15:14

f 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
1Kn 14:16

g 2Kr 28:6

Tweede kol.

a 2Kr 28:6
Jes 7:1, 4b 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
1Kn 14:16c 2Kn 16:7
1Kr 5:6
1Kr 5:26
2Kr 28:19, 20

d 1Kn 15:20

e Jos 20:7, 9

f Nu 32:40

g Jes 9:1

h Le 26:38
De 28:64
2Kn 17:22, 23
Jes 8:4

i 2Kn 17:1

j 2Kr 27:1

k 2Kr 27:7
Mt 1:9

l 2Kn 14:21

m 2Kr 27:1

n 2Kr 27:2

het hy in sy plek koning geword. **26** Die res van die geskiedenis van Peka'hia, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel.

27 In die 52ste jaar van koning Asar'ja van Juda het Peka,^a die seun van Rema'lia, in Samari'a koning oor Israel geword, en hy het 20 jaar lank regeer.

28 Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, en hy het nie afgewyk van die sondes wat Jero'beam, die seun van Nebat, Israel laat pleeg het nie.^b **29** In die tyd van koning Peka van Israel het koning Tig'lat-Pile'ser^c van Assirië die land binnegeval en Ijon, A'bel-Bet-Ma'äga,^d Jano'ag, Kedes,^e Hasor, Gi'lead^f en Galile'a – die hele land van Naf'tali^g – ingeneem en die inwoners in ballingskap na Assirië weggeniem.^h **30** Toe het Hose'a,ⁱ die seun van Ela, teen Peka, die seun van Rema'lia, saamgesweer en hom doodgemaak, en hy het in sy plek koning geword in die 20ste jaar van Jotam,^j die seun van Ussi'a. **31** Die res van die geskiedenis van Peka, alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Israel.

32 In die tweede jaar van koning Peka van Israel, die seun van Rema'lia, het Jotam,^k die seun van koning Ussi'a^l van Juda, koning geword. **33** Hy was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 16 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jeru'sa, die dogter van Sadok.^m **34** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Ussi'a, gedoen het.ⁿ **35** Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie, en die volk het nog steeds op die offerhoogtes offerandes geoffer en offerrook

laat opgaan.^a Dit was Jotam wat die boonste poort van die huis van Jehovah gebou het.^b **36** Die res van die geskiedenis van Jotam en wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **37** In daardie dae het Jehovah Resin, die koning van Sirië, en Peka,^c die seun van Rema'lia, begin stuur om Juda aan te val.^d **38** Jotam het gesterf,* en hy is by sy voorvaders in die Stad van Dawid sy voorvader begrawe. En sy seun Agas het in sy plek koning geword.

16 Agas,^e die seun van koning Jotam van Juda, het in die 17de jaar van Peka, die seun van Rema'lia, koning geword. **2** Agas was 20 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 16 jaar lank in Jerusalem regeer. Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van Jehovah sy God soos sy voorvader Dawid nie.^f **3** Hy het eerder die weg van die konings van Israel gevolg,^g en hy het selfs sy eie seun as 'n offerande in die vuur verbrand*^h omdat hy die afskuwelike gebruike gevolg het van die nasiesⁱ wat Jehovah voor die Israëliete uit verdryf het. **4** Hy het ook aangehou om offerandes te bring en offerrook te laat opgaan op die offerhoogtes,^j op die heuwels en onder elke groot boom.^k

5 Koning Resin van Sirië en koning Peka van Israel, die seun van Rema'lia, het teen Jerusalem opgetrek om oorlog te voer.^l Hulle het Jerusalem beleër, die stad waar Agas was, maar hulle kon nie die stad inneem nie. **6** Op daardie tyd het koning Resin van Sirië die stad Elat^m vir Edom teruggekry, en daarna het

15:38 * Lett. "is by sy vaders neergelê".
16:3 * Of "deur die vuur laat gaan".

HFST. 15

a Nu 33:52
De 12:14

b 2Kr 27:3

c 2Kn 15:27
2Kr 28:6

d 2Kn 16:5
Jes 7:1, 2

HFST. 16

e Jes 1:1
Jes 7:1
Ho 1:1
Mi 1:1
Mt 1:9

f 2Kr 28:1-4

g 1Kn 12:28-30
1Kn 16:33

h Le 20:2, 3
2Kr 33:1, 6
Jer 7:31

i De 12:29-31

j Nu 33:52

k De 12:2

l 2Kn 15:37
2Kr 28:5, 6

m 2Kn 14:21, 22

Tweede kol.

a 2Kn 15:29

b 1Kn 15:18, 19

c Am 1:4, 5

d Jes 9:11

e De 12:30

f Jes 8:2

g Jer 23:11
Ese 22:26

h 2Kr 28:22, 23
2Kr 28:25

i 2Kr 4:1

hy die Jode* uit Elat verdryf. Die Edomiete het in Elat gaan bly, en hulle woon tot vandag toe nog daar. **7** Toe het Agas boodskappers na koning Tig'lat-Pile'ser^a van Assi'rië gestuur en gesê: "Ek is u kneg en u seun. Kom red my tog uit die hand van die koning van Sirië en uit die hand van die koning van Israel, wat my aanval." **8** Agas het toe die silwer en die goud in die huis van Jehovah en in die skatkamers van die koning se paleis geneem en 'n omkoopgeskenk aan die koning van Assi'rië gestuur.^b **9** Die koning van Assi'rië het gedoen wat hy gevra het en na Damaskus gegaan en dit ingeneem en die inwoners daarvan in ballingskap na Kir weg-geneem,^c en hy het Resin dood-gemaak.^d

10 Daarna het koning Agas na koning Tig'lat-Pile'ser van Assi'rië in Damaskus gegaan. Nadat koning Agas die altaar in Damaskus gesien het, het hy 'n bouplan van die altaar aan die priester Uri'a gestuur.^e **11** Die priester Uri'a het 'n altaar^g gebou volgens al die instruksies wat koning Agas van Damaskus af gestuur het. Die priester Uri'a het dit voltooi voordat koning Agas van Damaskus af teruggekom het. **12** Toe die koning van Damaskus af kom en die altaar sien, het hy offerandes op die altaar gaan offer.^h **13** En hy het aangehou om sy brandoffers en sy graanoffers op daardie altaar te laat rook. Hy het ook sy drankoffers daarop uitgegooi en die bloed van sy vrede-offers* daarop gesprinkel. **14** Toe het hy die koperaltaarⁱ wat voor Jehovah was, geskuif van sy gewone plek aan die voorkant van die huis,

16:6 * Of "die manne van Juda".
16:13 * Of "gemeenskapsoffers".

tussen sy eie altaar en die huis van Jehovah, en dit aan die noordekant van sy eie altaar gesit. **15** Koning Agas het vir die priester Uri'a^a hierdie bevel gegee: "Laat die oggendbrandoffer,^b die aandgraanoffer^c en die koning se brandoffer en graanoffer op die groot altaar rook, sowel as die brandoffers, die graanoffers en die drankoffers van die hele volk. Jy moet ook al die bloed van die brandoffers en al die bloed van die ander offerandes daarop sprinkel. Wat die koperaltaar betref, ek sal besluit wat daarmee gedoen moet word." **16** En die priester Uri'a het alles gedoen wat koning Agas beveel het.^d

17 Verder het koning Agas die sypaneel van die waentjies^e in stukke gesny en die komme van hulle afgehaal.^f Hy het die See wat op die koperbulle gerus het,^g van hulle afgehaal en dit op 'n klipvloer gesit.^h **18** En weens die koning van Assirië het hy die oordekte area vir die Sabbat wat in die huis gebou is en die koning se buitenste ingang van die huis van Jehovah af verskuif.

19 Die res van die geskiedenis van Agas en wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda.ⁱ **20** Agas het gesterf,^{*} en hy is by sy voorvaders in die Stad van Dawid begrawe, en sy seun Hiski'a^j het in sy plek koning geword.

17 Hose'a,^k die seun van Ela, het in die 12de jaar van koning Agas van Juda koning oor Israel geword in Samari'a. Hy het nege jaar lank regeer. **2** Hy het bly doen wat sleg is in

16:20 *Lett. "is by sy vaders neergelê". "Beteken "Jehovah versterk".

HFST. 16

a Jes 8:2

b 2Kr 28:23

c Eks 29:39-41

d 2Kn 16:11

e 1Kn 7:27, 28

f 1Kn 7:38
2Kr 4:6

g 1Kn 7:23, 25

h 2Kr 28:24
2Kr 29:19

i 2Kr 28:26, 27

j 2Kn 18:1
2Kr 29:1
Jes 1:1
Ho 1:1
Mt 1:9

HFST. 17

k 2Kn 15:30

Tweede kol.

a 2Kn 18:9
Jes 10:5, 6
Ho 10:14, 15

b 2Kn 18:14

c Jes 31:1

d Ho 13:16

e Le 26:32, 33
De 4:27
De 28:64
1Kn 14:15

f 1Kr 5:26

g 2Kn 18:9-11

h Eks 20:2

i Eks 20:5

j Ho 12:11

Jehovah se oë, maar nie so erg soos die vorige konings van Israel nie. **3** Koning Salmane'ser van Assirië het teen hom gaan veg,^a en Hose'a het sy kneg geword en skatting* aan hom begin betaal.^b **4** Maar die koning van Assirië het uitgevind dat Hose'a betrokke was by 'n same-swering, want Hose'a het boodskappers na koning So van Egipte^c gestuur en het nie die skatting* aan die koning van Assirië betaal soos in vorige jare nie. Daarom het die koning van Assirië hom vasgebind en in die tronk opgesluit.

5 Die koning van Assirië het die land binnegeval, en hy het na Samari'a gegaan en dit drie jaar lank beleër. **6** In die negende jaar van Hose'a het die koning van Assirië Samari'a^d ingeneem. Hy het die Israeliete toe in ballingskap^e na Assirië geneem en hulle in Halag en in Habor by die Gosanrivier^f en in die stede van die Mede laat woon.^g

7 Dit het gebeur omdat die Israeliete gesondig het teen Jehovah hulle God, wat hulle uit Egipte uitgelei het en wat hulle uit die greep van Farao, die koning van Egipte,^h bevry het. Hulle het ander gode aanbid,^{*i} **8** en hulle het die gebruike gevolg van die nasies wat Jehovah voor die Israeliete uit verdryf het, sowel as die gebruike wat die konings van Israel ingestel het.

9 Die Israeliete het by dinge betrokke geraak wat volgens Jehovah hulle God nie reg was nie. Hulle het aangehou om offerhoogtes in al hulle stede te bou,^j van wagtoring tot versterkte stad.* **10** Hulle het

17:3, 4 *Sien Woordelys. 17:7 *Lett. "gevrees". 17:9 *D.w.s. in elke plek, of daar nou baie of min inwoners was.

aangehou om vir hulle heilige pilare en heilige pale*^a op elke hoë heuwel en onder elke groot boom^b op te rig. **11** En hulle het op al die offerhoogtes offer-rook laat opgaan, net soos die nasies wat Jehovah voor hulle uit verdryf het.^c Hulle het voortgegaan om slegte dinge te doen en om Jehovah aanstoot te gee.

12 Hulle het aangehou om walglike afgode* te aanbid,^d al het Jehovah vir hulle gesê: "Julle mag hulle nie aanbid nie!"^e

13 Jehovah het Israel en Juda bly waarsku deur middel van al sy profete en al die sieners^f en gesê: "Draai om en los julle slegte weë!^g Gehoorsaam my gebooe en my wetsbepalings – alles in die wet wat ek julle voorvaders beveel het om te gehoorsaam en wat ek deur middel van my knegte, die profete, aan julle gestuur het."

14 Maar hulle het nie geluister nie, en hulle het net so hardkoppig gebly soos* hulle voorvaders wat nie geloof in Jehovah hulle God gestel het nie.^h

15 Hulle het sy wetsvoorskrifte en sy verbondⁱ wat hy met hulle voorvaders gemaak het en sy herinneringe wat hy vir hulle as 'n waarskuwing gegee het, bly verwerp.^j En hulle het waardelose afgode^k bly volg en hulle het self ook waardeloos geword.^l Hulle het die voorbeeld gevolg van die nasies rondom hulle wat Jehovah hulle beveel het om nie na te volg nie.^m

16 Hulle het al die gebooe van Jehovah hulle God bly ignoreer. Hulle het metaalbeelde van twee kalwersⁿ en 'n heili-

17:10, 16 *Sien Woordelys. **17:12** *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. **17:14** *Lett. "hulle nek verhard soos die nek van".

HFST. 17

a Eks 34:13
De 16:21, 22

b De 12:2
Jes 57:5

c Le 20:23

d 1Kn 12:28-30
1Kn 21:25, 26

e Eks 20:3-5
Le 26:1
De 4:23

f 2Kr 24:18, 19
2Kr 36:15, 16
Jer 25:4

g Jes 55:7

h De 1:32
De 31:27

i De 5:2
De 29:12

j Ho 4:6

k De 32:21
1Sa 12:21

l Ps 115:4-8
Jes 44:9

m De 12:30

n 1Kn 12:28-30

Tweede kol.

a 1Kn 14:15
1Kn 16:33

b De 4:19
Jer 8:2

c 1Kn 16:30, 31
1Kn 22:51, 53
2Kn 10:21
2Kn 23:4, 5

d 2Kn 16:1, 3

e De 18:10
Mi 5:12

f Jos 23:12, 13
Jes 42:24

g 1Kn 14:22
Jer 3:8

h Ese 23:4, 11

i 1Kn 12:20

j 1Kn 12:28-30

k De 28:45, 63
1Kn 14:16
Ho 1:4
Am 5:27
Mi 1:6

l 2Kn 18:11

m 2Kn 19:11, 13

ge paal*^a gemaak, en hulle het voor die hele leërmag van die hemel^b neergebuig en Baäl gedien.^c **17** Hulle het ook hulle seuns en hulle dogters as offer-randes in die vuur verbrand.*^d en hulle het waarsêery beoefen^e en na tekens^f gesoek. Hulle het bly doen^g wat sleg is in Jehovah se oë en het hom aanstoot gegee.

18 Daarom het Jehovah so kwaad vir Israel geword dat hy hulle voor hom verwyder het.^f Hy het niemand laat oorby behalwe die stam van Juda nie.

19 Selfs Juda het nie die gebooe van Jehovah hulle God gehoorsaam nie.^g Hulle het ook die gebruik gevolg wat Israel gevolg het.^h **20** Jehovah het al die nakomelinge van Israel verwerp, hulle verneder en hulle in die hand van vyande gegee wat hulle geplunder het, totdat hy hulle voor hom verwyder het.

21 Hy het Israel van die huis van Dawid af weggeskeur, en hulle het Jero'beam, die seun van Nebat, koning gemaak.ⁱ Maar Jero'beam het Israel van Jehovah laat afdwaal, en hy het hulle 'n groot sonde laat pleeg. **22** Die Israëliete het aangehou om al die sondes van Jero'beam te pleeg.^j Hulle het nie daarvan afgewyk nie. **23** totdat Jehovah Israel voor hom verwyder het, net soos hy deur middel van al sy knegte, die profete, gesê het.^k Israel is in ballingskap na Assirië weggeneem,^l waar hulle tot vandag toe is.

24 Die koning van Assirië het mense uit Babilon, Kuta, Awwa, Hamat en Sefarwa'im^m geneem en hulle in die plek van die Israëliete in die stede van Samari'a laat woon. Hulle het

17:17 *Of "deur die vuur laat gaan".
*Of "voortekens". ^gLett. "hulleself verkoop om te doen".

Samari'a in besit geneem en in die stede daar gewoon. **25** Toe hulle daar gaan woon het, het hulle Jehovah nie gevrees* nie. Daarom het Jehovah leus onder hulle ingestuur,^a en hulle het van die mense doodgemaak. **26** Daar is vir die koning van Assirië gesê: "Die nasies wat u in ballingskap geneem en in die stede van Samari'a laat woon het, ken nie die godsdienst* van die God van die land nie. Daarom stuur hy leus onder hulle in om hulle dood te maak omdat nie een van hulle die godsdienst van die God van die land ken nie."

27 Toe het die koning van Assirië hierdie bevel gegee: "Laat een van die priesters wat julle van daar af in ballingskap geneem het, teruggaan om daar te woon en om hulle die godsdienst van die God van die land te leer." **28** Een van die priesters wat hulle uit Samari'a in ballingskap weggeneem het, het toe na Bet-El^b teruggegaan om daar te woon, en hy het hulle begin leer hoe hulle Jehovah moet vrees.*^c

29 Maar elke nasie het hulle eie god* gemaak, en hulle het dit gesit in die huise van aanbidding op die offerhoogtes wat die Samaritaner gemaak het. Elke nasie het dit gedoen in die stede waar hulle gewoon het. **30** Die manne van Babilon het Sukkot-Benot gemaak, die manne van Kut het Nergal gemaak, die manne van Hamat^d het Asi'ma gemaak **31** en die Awwiete het Nibhas en Tartak gemaak. Die Sefarwiete het hulle seuns in die vuur verbrand vir Adrammeleg en Anammeleg, die gode van Sefarwa'im.*

17:25, 28 *Of "aanbid". 17:26 *Of "godsdienstgebruik". 17:29 *Of "gode".

HFST. 17

a Eks 23:29

b Ge 28:18, 19
Jos 16:1
1Kn 12:28, 29

c Joh 4:20-22

d 2Kn 17:24

e 2Kn 18:34

Tweede kol.

a 1Kn 12:31, 32
1Kn 13:33

b 2Kn 17:24, 41

c Ge 32:28

d Eks 19:5
Eks 24:7
De 29:1e Eks 20:3-5
Eks 23:24
Eks 34:14
De 5:9

f Eks 6:6

g De 6:12, 13

h De 31:9

i De 4:23

32 Hoewel hulle Jehovah gevrees het, het hulle priesters vir die offerhoogtes uit die volk aangestel, en die priesters het vir hulle diens gedoen by die huise van aanbidding op die offerhoogtes.^a **33** Hulle het Jehovah dus gevrees, maar hulle het ook hulle eie gode aanbidding in ooreenstemming met die godsdienstgebruik van die nasies waaruit hulle in ballingskap weggeneem is.^b

34 Tot vandag toe volg hulle hulle vroeëre godsdienstgebruik. Nie een van hulle aanbiddings* Jehovah nie, en nie een volg sy wetsbepalings, sy oordele, die Wet en die gebod wat Jehovah gegee het aan die kinders van Jakob, wie se naam hy na Israel verander het, nie.^c **35** Toe Jehovah 'n verbond met hulle gemaak het,^d het hy hulle hierdie bevel gegee: "Julle mag nie ander gode vrees nie, en julle mag nie voor hulle neerbuig of hulle dien of offerandes aan hulle bring nie.^e **36** Maar Jehovah, wat julle met groot krag en 'n uitgestrekte arm uit Egipte uitgelei het,^f is die Een wat julle moet vrees,^g en voor hom moet julle neerbuig, en aan hom moet julle offerandes bring. **37** Julle moet streng bly by die wetsvoorskrifte, die oordele, die Wet en die gebod wat hy vir julle neergeskryf het.^h Julle mag nie ander gode vrees nie. **38** En julle moenie die verbond vergeet wat ek met julle gemaak het nie,ⁱ en julle mag nie ander gode vrees nie. **39** Maar julle moet Jehovah julle God vrees, want hy is die Een wat julle uit die hand van al julle vyande sal red."

40 Maar hulle was nie gehoorsaam nie, en hulle het hulle vroeëre godsdienstgebruik

17:34 *Lett. "vrees".

gevolg.^a **41** Hierdie nasies het Jehovah wel begin vrees,^b maar hulle het ook hulle eie beelde aanbid. Hulle kinders en hulle kleinkinders doen tot vandag toe presies wat hulle voorvaders gedoen het.

18 Hiski'a,^c die seun van koning Agas^d van Juda, het in die derde jaar van koning Hose'a^e van Israel, die seun van Ela, koning geword. **2** Hy was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 29 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Abi,^{*} die dogter van Sagari'a.^f **3** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë,^g net soos sy voorvader Dawid gedoen het.^h **4** Dit was Hiski'a wat die offerhoogtes verwyder het,ⁱ die heilige pilare stukkend gekap het en die heilige paal^{*} afgekap het.^j Hy het ook die koperslang wat Moses gemaak het,^k stukkend geslaan, want tot op daardie tyd het die Israeliete offerrook daarvoor laat opgaan, en dit is die koperslang-afgod^l genoem. **5** Hy het op Jehovah,ⁱ die God van Israel, vertrou. Onder al die konings van Juda was daar nie voor hom of ná hom 'n koning soos hy nie. **6** Hy het lojaal aan Jehovah gebly.^m Hy was altyd gehoorsaam aan hom. En hy het aangehou om die gebooie te gehoorsaam wat Jehovah aan Moses gegee het. **7** En Jehovah was met hom. Waar hy ook al gegaan het, het hy wyslik opgetree. Hy het teen die koning van Assi'rië in opstand gekom en geweier om hom te dien.ⁿ **8** Hy het ook die Filistyne verslaan^o tot by Gasa en die omliggende gebiede, van wagtering tot versterkte stad.*

18:2 *'n Verkorte vorm van Abija. **18:4** *Sien Wordelys. ^oOf "Nehustan". **18:8** *D.w.s. in elke plek, of daar nou baie of min inwoners was.

HFST. 17

a 2Kn 17:34

b Esr 4:1, 2

HFST. 18

c 2Kr 28:27

Mt 1:9

d 2Kn 16:2, 20

e 2Kn 15:30

2Kn 17:1

f 2Kr 29:1, 2

g 2Kn 20:3

2Kr 31:20, 21

Ps 119:128

h 1Kn 15:5

i Nu 33:52

1Kn 3:2

2Kn 14:1, 4

j De 7:5

De 12:3

2Kr 31:1

k Nu 21:8, 9

l 2Kn 19:15

2Kr 32:7, 8

m De 10:20

Jos 23:8

n 2Kn 16:7

o 2Kr 28:18, 19

Jes 14:28, 29

Tweede kol.

a 2Kn 17:1

b 2Kn 17:3-6

c Ho 13:16

Am 3:11

Mi 1:6

d Jes 8:4

Am 6:1, 7

e 2Kn 17:6

1Kr 5:26

f De 8:20

1Kn 14:15

g Jes 10:5

h 2Kr 32:1

Jes 36:1

i 2Kn 12:18

2Kn 16:8

2Kr 16:2, 3

j 1Kn 6:33-35

9 Koning Salmane'ser van Assi'rië het in die vierde jaar van koning Hiski'a (dit wil sê die sewende jaar van koning Hose'a^a van Israel, die seun van Ela) teen Samari'a opgetrek en dit begin beleër.^b **10** Ná drie jaar het hulle dit ingeneem.^c Dit was in die sesde jaar van Hiski'a (dit wil sê die negende jaar van koning Hose'a van Israel) dat Samari'a ingeneem is. **11** Toe het die koning van Assi'rië die Israeliete in ballingskap^d na Assi'rië geneem en hulle in Halag en in Habor by die Gosanrivier en in die stede van die Mede laat woon.^e **12** Dit het gebeur omdat hulle nie na die stem van Jehovah hulle God geluister het nie en nie gebly het by sy verbond, by alles wat Moses, die kneg van Jehovah, beveel het, nie.^f Hulle het nie geluister nie en hulle was nie gehoorsaam nie.

13 In die 14de jaar van koning Hiski'a het San'herib, die koning van Assi'rië,^g teen al die versterkte stede van Juda opgetrek en hulle ingeneem.^h **14** Toe het koning Hiski'a van Juda hierdie boodskap aan die koning van Assi'rië in Lagis gestuur: "Ek het verkeerd opgetree. As u van my af terugtrek, sal ek vir u gee wat u ook al van my eis." Die koning van Assi'rië het koning Hiski'a van Juda 'n boete van 300 talente* silwer en 30 talente goud opgelê. **15** Daarom het Hiski'a al die silwer gegee wat in die huis van Jehovah en in die skatkamers van die koning se paleis was.ⁱ **16** Op daardie tyd het Hiski'a die deure van die tempel^j van Jehovah en die deurposte wat koning Hiski'a van Juda self

18:14 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

oorgetrek* het,^a afgehaal[#] en dit aan die koning van Assi'rië gegee.

17 Die koning van Assi'rië het die Tartan,* die Rab'saris[#] en die Rab'sake[^] toe met 'n groot leërmag van Lagis^b af na koning Hiski'a in Jerusalem gestuur.^c Hulle het na Jerusalem gegaan en gaan staan by die kanaal van die boonste dam, wat langs die grootpad van die wassersveld is.^d **18** Toe hulle vradat die koning na hulle toe uitkom, het Elja'kim,^e die seun van Hilki'a, wat oor die huishouding* was, Sebna,^f die sekretaris en Joag, die seun van Asaf, die geskiedskrywer, na hulle toe uitgekom.

19 Toe het die Rab'sake vir hulle gesê: "Sê asseblief vir Hiski'a: 'Dit is wat die groot koning, die koning van Assi'rië, sê: "Hoekom is jy so vol vertroue?"^g **20** Jy sê: 'Ek het 'n strategie en die mag om oorlog te voer,' maar dit is leë woorde. Op wie vertrou jy dat jy dit waag om teen my in opstand te kom?"^h **21** Jy vertrou op Egipte,ⁱ daardie geknakte riet wat 'n gat dwarsdeur 'n mens se hand sal steek as jy daarop leun. Dit is hoe Faraó, die koning van Egipte, is vir almal wat op hom vertrou. **22** Maar dalk sal julle vir my sê: 'Ons vertrou op Jehovah ons God.'^j Is dit dan nie sy offerhoogtes en altare wat Hiski'a verwyder het nie,^k terwyl hy vir Juda en Jerusalem sê: 'Julle moet voor hierdie altaar in Jerusalem neerbuig?'"^l **23** Aanvaar dan nou asseblief hierdie uitdaging van my heer, die koning van Assi'rië: Ek sal

18:16 *D.w.s. met goud oorgetrek. [#]Lett. "afgesny". **18:17** *Of "die bevelvoerder". [#]Of "die hoofhofbeampte". [^]Of "die hoofskinker". **18:18** *Of "paleis".

HFST. 18

a 2Kr 29:1, 3

b Jos 15:20, 39
2Kr 11:5, 9

c 2Kr 32:9

d Jes 36:2, 3

e 2Kn 19:2
Jes 22:20-24

f Jes 22:15-19

g 2Kr 32:10
Jes 36:4-10

h 2Kn 18:7

i Jes 30:1, 2

j 2Kr 32:8

k 2Kr 31:1

l De 12:11, 13
2Kr 32:12

Tweede kol.

a Jes 10:12, 13

b 2Kn 18:18

c 2Kn 18:17

d Esr 4:7
Da 2:4

e Jes 36:11, 12

f Jes 36:13-20

g 2Kr 32:15

h 2Kn 19:32-34

vir jou 2 000 perde gee as jy genoeg ruiters vir hulle kan vind.^a

24 Hoe sou jy dan selfs een van my heer se onbelangrikste goewerneys kan terugdryf as jy op Egipte moet vertrou vir strydwaens en vir ruiters? **25** En dink jy dat ek sonder Jehovah se toestemming teen hierdie plek opgetrek het om dit te verwoes? Dit was Jehovah wat vir my gesê het: 'Trek op teen hierdie land en verwoes dit.'

26 Toe het Elja'kim, die seun van Hilki'a, Sebna^b en Joag vir die Rab'sake^c gesê: "Praat asseblief met u knegte in die Aramese^d taal,^d want ons verstaan dit. Moenie in die taal van die Jode met ons praat nie, want die mense op die muur kan hoor wat ons sê."^e **27** Maar die Rab'sake het vir hulle gesê: "Dink julle dat my heer my net na julle heer en na julle toe gestuur het om hierdie dinge te sê? Hierdie boodskap is ook bedoel vir die manne wat op die muur sit, wat hulle eie ontlasting sal eet en hulle eie urine sal drink, net soos julle."

28 Daarna het die Rab'sake met 'n harde stem in die taal van die Jode uitgeroep: "Hoor wat die groot koning, die koning van Assi'rië, sê.^f **29** Dit is wat die koning sê: 'Moenie dat Hiski'a julle bedrieg nie, want hy kan julle nie uit my hand red nie.'^g **30** En moenie dat Hiski'a julle op Jehovah laat vertrou nie deur te sê: "Jehovah sal ons vir seker red. Hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Assi'rië gegee word nie."^h **31** Moenie na Hiski'a luister nie, want dit is wat die koning van Assi'rië sê: "Maak vrede met my en gee julle aan my oor. Dan sal elkeen van julle van sy eie wingerdstok en

18:26 *Of "Siriese".

van sy eie vyeboom eet en die water van sy eie reënput drink, **32** totdat ek kom en julle na 'n land neem soos julle land,^a 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde, 'n land van olyfbome en heuning. En dan sal julle lewe en nie sterf nie. Moenie na Hiski'a luister nie, want hy mislei julle deur te sê: 'Jehovah sal ons red.' **33** Het enige van die gode van die nasies sy land uit die hand van die koning van Assi'rië gered? **34** Waar is die gode van Hamat^b en Arpad? Waar is die gode van Sefarwa'im,^c Hena en Iwva? Het hulle Samari'a uit my hand gered?^d **35** Kon enigeen van die gode van daardie lande hulle land uit my hand red? Sal Jehovah Jerusalem dan uit my hand kan red?""^e

36 Maar die mense het stilgebly en hom nie geantwoord nie, want die koning het hulle beveel om hom nie te antwoord nie.^f **37** Elja'kim, die seun van Hiski'a, wat oor die huishouding* was, Sebna, die sekretaris, en Joag, die seun van Asaf, die geskiedskrywer, het met geskeurde klere na Hiski'a toe gegaan en hom vertel wat die Rab'sake gesê het.

19 Toe koning Hiski'a dit hoor, het hy sy klere geskeur en saklinne aangetrek en in die huis van Jehovah ingegaan.^g **2** Toe het hy Elja'kim, wat oor die huishouding* was, Sebna, die sekretaris, en die hoofde van die priesters saklinne laat aantrek en hulle na die profeet Jesaja,^h die seun van Amos, gestuur. **3** Hulle het vir hom gesê: "Dit is wat Hiski'a sê: 'Vandag is 'n dag van rampspoed, van belediging* en van skande. Dit is soos wan-

18:37; 19:2 *Of "paleis". 19:3 *Of "veroordeling".

HFST. 18

a 2Kn 17:6

b Nu 13:21

c 2Kn 17:24

d 2Kn 17:6

e 2Kn 19:17-19
2Kr 32:15
Jes 37:23

f Jes 36:21, 22

HFST. 19

g Jes 37:1-4

h Jes 1:1

Tweede kol.

a Jes 26:17, 18

b 1Sa 17:45
2Kn 18:35

c 2Sa 22:7
2Kr 20:9
2Kr 32:20
Ps 50:15

d Jes 37:5-7

e De 20:3
Jes 41:10
Jes 51:7

f 2Kn 18:17

g 2Kr 32:21
Jes 37:37, 38

h 2Kn 18:14

i Jes 37:8-13

j 2Kn 18:17

k 2Kr 32:15

l 2Kn 17:5
2Kr 32:10, 13
Jes 10:8-11

m Ge 11:31

neer 'n kind gereed is om gebore te word, maar daar geen krag is om geboorte te gee nie.^a **4** Miskien sal Jehovah u God al die woorde hoor van die Rab'sake, wat deur sy heer, die koning van Assi'rië, gestuur is om die lewende God uit te tart,^b en hom straf vir die woorde wat Jehovah u God gehoor het. Bid^c dus vir die oorblyfsel wat nog lewe.""

5 Die knegte van koning Hiski'a het by Jesaja aangekom,^d **6** en Jesaja het vir hulle gesê: "Gaan sê vir julle heer: 'Dit is wat Jehovah sê: "Moenie bang wees^e weens die woorde wat jy gehoor het nie, die woorde waarmee die dienaars van die koning van Assi'rië my belaster het nie.'^f **7** Ek gaan 'n gedagte by hom laat opkom, en hy sal 'n berig hoor en na sy eie land terugkeer. En ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val.'""^g

8 Nadat die Rab'sake gehoor het dat die koning van Assi'rië van Lagis^b af weggetrek het, het hy teruggekeer na die koning, wat besig was om teen Libna te veg.ⁱ **9** Die koning het gehoor dat koning Tirha'ka van Etiopië op pad was om teen hom te veg. Daarom het hy weer boodskappers^j na Hiski'a toe gestuur en gesê: **10** "Dit is wat julle vir koning Hiski'a van Juda moet sê: 'Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou bedrieg deur te sê: "Jerusalem sal nie in die hand van die koning van Assi'rië gegee word nie.'"^k **11** Jy het gehoor wat die konings van Assi'rië met al die lande gedoen het. Hulle het dit vernietig.^l Sal jy die enigste een wees wat gered word? **12** Is die nasies wat deur my voorvaders vernietig is, deur hulle gode gered? Waar is Gosan, Haran,^m Resef en die mense van Eden wat in

Tel-Assar was? **13** Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad, die koning van die stad Sefarwa'im, die koning van Hena en die koning van Iwwa?"^a

14 Hiski'a het die briewe by die boodskappers geneem en dit gelees. Hiski'a het toe na die huis van Jehovah gegaan en dit voor Jehovah uitgesprei.^b

15 En Hiski'a het voor Jehovah begin bid^c en gesê: "O Jehovah, die God van Israel, wat op die troon bo* die gerubs sit,^d u alleen is die ware God van al die koninkryke van die aarde.^e U het die hemel en die aarde gemaak. **16** Skenk aandag, o Jehovah, en luister!^f Maak u oë oop,^g o Jehovah, en sien! Luister na die woorde waarmee San'herib die lewende God uittart. **17** O Jehovah, die konings van Assi'rië het wel die nasies en hulle lande verwoes.^h

18 En hulle het hulle gode in die vuur gegooi, want hulle was nie gode nie.ⁱ Hulle was die werk van mensehande^j – hout en klip. Dit is waarom hulle hulle kon vernietig. **19** Maar red ons nou asseblief uit sy hand, o Jehovah ons God, sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat u alleen God is, o Jehovah."^k

20 Jesaja, die seun van Amos, het toe hierdie boodskap aan Hiski'a gestuur: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek het jou gebed in verband met koning San'herib van Assi'rië^l gehoor.^m **21** Dít is wat Jehovah oor hom sê:

"Die maagdelike dogter van Sion verag jou, sy lag jou uit.

Die dogter van Jerusalem skud haar kop vir jou.

22 Wie het jy uitgetart en belaster?"ⁿ

HFST. 19

a 2Kn 17:24
2Kn 18:33, 34

b 1Kn 8:30
Jes 37:14-20

c 2Kr 32:20

d Eks 25:22

e 1Kr 29:10, 11

f 1Kn 8:29
Ps 65:2

g 2Kr 16:9
Da 9:18

h 2Kn 16:8, 9
2Kn 17:6, 24

i Jes 41:29

j Jer 10:3

k Ps 83:17, 18
Jes 45:5, 6

l Jes 37:21, 22

m 2Kn 19:15

n 2Kn 19:10

Tweede kol.

a 2Kn 18:30
Jes 10:12, 13

b Jes 37:23-25

c 2Kn 18:17

d 2Kr 32:17
Jes 10:10, 11

e Jes 14:24

f Ps 33:11

g Jes 46:10

h Jes 10:5
Jes 37:26, 27

i Jes 40:7

j Spr 5:21
Heb 4:13

k Jes 37:28, 29

l Ps 46:6
Jes 10:5, 15

m 2Kn 18:35
Jes 10:12, 13

Teen wie het jy jou stem verhef^a en jou trotse oë opgeslaan? Dit is teen die Heilige van Israel!^b

23 Deur middel van jou boodskappers^c het jy Jehovah uitgetart^d en gesê:

'Met my baie strydwaens sal ek teen hoë berge opry, teen die mees afgeleë dele van die Li'banon-berge.

Ek sal sy hoë sederbome afkap, sy beste jenerw-bome.

Ek sal sy verste skuilplekke, sy digste woude, binne-dring.

24 Ek sal putte grawe en vreemde water drink.

Ek sal al die strome* van Egipte met my voetsole opdroeg.'

25 Het jy nie gehoor nie? Dit is lank gelede besluit.*^e

Ek het dit in die verre verlede voorberei.^f

Nou sal ek dit laat plaasvind.^g

Jy sal versterkte stede vernietig. Daar sal net ruïnes oorbly.^h

26 Hulle inwoners sal hulpe-loos wees.

Hulle sal baie bang wees en verneder word.

Hulle sal soos plante van die veld en groen gras word,ⁱ soos gras op die dakke wat deur die oostewind verskroei word.

27 Maar ek weet wanneer jy sit, wanneer jy uitgaan, wanneer jy inkom^j en wanneer jy woedend is vir my,^k

28 want jou woede teen my^l en jou gebrul het my ore bereik.^m

19:24 *Of "die kanale van die Nyl-rivier". **19:25** *Lett. "gedoen".

Daarom sal ek my haak in jou neus sit^a en my toom tussen jou lippe, en ek sal jou teruglei op die pad waarmee jy gekom het.”^b

29 “En dit sal vir jou* die teken wees: Hierdie jaar sal julle eet wat vanself groei,[#] en in die tweede jaar sal julle graan eet wat dan opkom,^c maar in die derde jaar sal julle saad saai en oes, en julle sal wingerde plant en die vrugte daarvan eet.^d

30 Dié van die huis van Juda wat wegkom, dié wat oorbly,^e sal wortelskiet ondertoe en vrugte voortbring boontoe. **31** Want ’n oorblyfsel sal uit Jerusalem uitgaan, en oorlewendes van die berg Sion af. Die ywer van Jehovah van die leërmagte sal dit doen.^f

32 “Daarom sê Jehovah die volgende oor die koning van Assirië:^g

“Hy sal nie in hierdie stad inkom^h

of ’n pyl daarnatoe skiet of met ’n skild daarteen kom of ’n beleëringswal daarteen oprig nie.”

33 Met die pad waarmee hy gekom het, sal hy terugkeer. Hy sal nie in hierdie stad inkom nie,” sê Jehovah.

34 “Ek sal hierdie stad verdedigⁱ en red om my eie onthalwe^k en ter wille van my kneg Dawid.”^l

35 Daardie nag het die engel van Jehovah uitgegaan en 185 000 manne in die kamp van die Assiriërs doodgemaak.^m Toe mense die volgende oggend vroeg opstaan, het hulle al die lyke gesien.ⁿ **36** Daarom

19:29 *D.w.s. Hiskia. [#]Of “wat groei het van korrels wat geval het”.

HFST. 19

a Ps 32:9

b 2Kn 19:33

c Le 25:4-6

d Jes 37:30-32

e 2Kr 32:22

Jes 10:20

f Jes 59:17

Sag 1:14, 15

g Jes 10:24

h 2Kr 32:22

i Jes 37:33-35

j Jes 31:5

k 1Sa 12:22

Jes 43:25

Ese 36:22

l 2Kn 20:6

Jer 23:5

m 2Kr 32:21

Jes 31:8

n Eks 12:30

Jes 37:36-38

Tweede kol.

a Jon 1:2

b 2Kn 19:7, 28

c 2Kr 32:21

d Ge 8:4

e Esr 4:2

HFST. 20

f 2Kr 32:24

g Jes 38:1-3

h 2Kr 31:20, 21

Ps 25:7

Ps 119:49

i Jes 38:4-6

j Ps 39:12

k De 32:39

Ps 41:3

Ps 103:3

Ps 147:3

l Ps 66:13

Ps 116:12-14

m 2Kr 32:22

Jes 10:24

n 2Kn 19:34

Jes 37:35

o Jes 38:21, 22

het koning San’herib van Assirië na Ni’neve^a teruggekeer en daar gebly.^b **37** En terwyl hy in die tempel van sy god Nisrog neergebuig het, het sy eie seuns Adramme’leg en Sare’ser hom met die swaard doodgemaak^c en toe na die land Ararat^d gevlug. En sy seun Esar-Haddon^e het in sy plek koning geword.

20 In daardie dae het Hiskia^f dodelik siek geword.^f Die profeet Jesaja, die seun van Amos, het vir hom gaan sê: “Dit is wat Jehovah sê: ‘Gee instruksies aan jou huisgesin, want jy gaan sterf. Jy sal nie gesond word nie.’”^g **2** Toe het Hiskia^f sy gesig na die muur gedraai en tot Jehovah begin bid en gesê: **3** “Ek smeek u, o Jehovah, onthou asseblief hoe ek u getrou en met my hele hart gedien het, en ek het gedoen wat goed is in u oë.”^h En Hiskia^f het bitterlik begin huil.

4 Nog voordat Jesaja by die middelste voorhof gekom het, het Jehovah vir hom gesê:ⁱ

5 “Gaan terug en sê vir Hiskia^f, die leier van my volk: ‘Dit is wat Jehovah, die God van jou voorvader Dawid, sê: “Ek het jou gebed gehoor. Ek het jou trane gesien.^j En ek gaan jou gesond maak.^k Op die derde dag sal jy na die huis van Jehovah gaan.’” **6** Ek sal 15 jaar by jou lewe* voeg, en ek sal jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Assirië^m red, en ek sal hierdie stad om my onthalwe en ter wille van my kneg Dawid verdedig.”ⁿ

7 Jesaja het toe gesê: “Gaan haal ’n koek van saamgeperste droëvye.” Toe het hulle dit gaan haal en dit op die sweer gesit. Daarna het hy geleidelik gesond geword.^o

20:6 *Lett. “dae”.

8 Hiski'a het vroeër vir Jesaja gevra: "Wat is die teken^a dat Jehovah my gesond sal maak en dat ek op die derde dag na die huis van Jehovah sal gaan?"

9 Jesaja het geantwoord: "Dit is die teken van Jehovah om te bewys dat Jehovah sal vervul wat hy gesê het: Wil jy hê dat die skaduwee op die trap* tien trappies vorentoe moet gaan of tien trappies agtertoe?"^b 10 Hiski'a het gesê: "Dit is maklik vir die skaduwee om tien trappies vorentoe te gaan, maar nie om tien trappies agtertoe te gaan nie." 11 Daarna het die profeet Jesaja tot Jehovah begin roep, en Hy het die skaduwee op die trap van Agas tien trappies laat teruggaan nadat dit reeds vorentoe gegaan het.^c

12 In daardie tyd het die koning van Babilon, Bero'dag-Ba'ladan, die seun van Ba'ladan, briewe en 'n geskenk aan Hiski'a gestuur, want hy het gehoor dat Hiski'a siek was.^d 13 Hiski'a het hulle verwelkom* en vir hulle sy hele skathuis^e gewys - die silwer, die goud, die balsemolie en ander kosbare olie, sy wapenhuis en alles wat in sy skatkamers was. Daar was niks in sy paleis en in sy hele ryk wat Hiski'a nie vir hulle gewys het nie.

14 Daarna het die profeet Jesaja na koning Hiski'a gegaan en vir hom gevra: "Wat het hierdie manne gesê, en waarvandaan het hulle gekom?" Toe het Hiski'a gesê: "Hulle het van 'n ver land gekom, van Babilon."^f

15 Hy het toe gevra: "Wat het hulle in jou paleis gesien?" Hiski'a het gesê: "Hulle het alles in my paleis gesien. Daar was niks

20:9 *Hierdie trappe is moontlik gebruik om te bepaal hoe laat dit is, soos 'n sonwyser. 20:13 *Of "na hulle ge-luister".

HFST. 20

a Rig 6:17

Jes 7:11

b Jes 38:7, 8

c Jos 10:12
2Kr 32:31

d Jes 39:1, 2

e 2Kr 32:27

f Jes 39:3, 4

Tweede kol.

a Jes 39:5-7

b 2Kn 24:12, 13
2Kn 25:13
2Kr 36:7, 18
Jer 27:21, 22
Da 1:2

c 2Kn 24:12

d Da 1:19
Da 2:49

e Ps 141:5

f Jes 39:8

g Joh 9:11

h 2Kr 32:30

i 1Kn 2:10

j 2Kn 21:16
2Kn 23:26
2Kr 33:11-13

k 2Kr 32:33

HFST. 21

l 1Kr 3:13
Mt 1:10

m 2Kr 33:1

n De 12:30, 31
2Kr 36:14
Ese 16:51

o 2Kr 33:2-6

p 2Kn 18:1, 4

q 2Kn 23:4

r 1Kn 16:30, 32

in my skatkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie."

16 Jesaja het toe vir Hiski'a gesê: "Hoor die woord van Jehovah:^a 17 'Die tyd kom wanneer alles in jou paleis en alles wat jou voorvaders tot vandag toe opgegaan het, na Babilon weggedra sal word.^b Daar sal niks oorbly nie,' sê Jehovah. 18 'En party van jou seuns wat nog gebore sal word, sal weggenem word^c en sal hofbeamptes in die paleis van die koning van Babilon word."^d

19 Toe het Hiski'a vir Jesaja gesê: "Die woord van Jehovah wat u oorgedra het, is goed."^e Hy het bygevoeg: "Dit is goed as daar vrede en stabiliteit* in my leeftyd sal wees."^f

20 Wat die res van die geskiedenis van Hiski'a betref, al sy magtige daade en hoe hy die dam^g en die kanaal gemaak en die water in die stad ingebring het,^h dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. 21 Hiski'a het gesterf,ⁱ en sy seun Manas^{se}^j het in sy plek koning geword.^k

21 Manas^{se}^l was 12 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 55 jaar lank in Jerusalem regeer.^m Sy ma se naam was Hefsi^{ba}. 2 Hy het gedoen wat sleg is in Jehovah se oë en het die afskuwelike gebruike gevolg van die nasiesⁿ wat Jehovah voor die Israeliete uit verdryf het.^o 3 Hy het die offerhoogtes herbou wat sy pa, Hiski'a, vernietig het,^p en hy het altare vir Baäl opgerig en 'n heilige paal* gemaak,^q net soos Agab, die koning van Israel, gedoen het.^r En hy het die hele leërmag

20:19 *Of "waarheid". 20:21 *Lett. "is by sy vaders neergelê". 21:3 *Sien Woordelys.

van die hemel aanbid en hulle gedien.^a **4** Hy het ook altare gebou in die huis van Jehovah,^b waarvan Jehovah gesê het: "In Jerusalem sal ek my naam vestig."^c **5** En hy het in twee voorhoute van die huis van Jehovah^d altare vir die hele leërmag van die hemel gebou.^e **6** Hy het ook sy eie seun as 'n offerande in die vuur verbrand.* Hy het toorkuns beoefen, na tekens^f gesoek^f en mense aangestel wat geeste oproep,^g so wel as fortuinvertellers.^g Hy het baie dinge gedoen wat sleg is in Jehovah se oë en hom aanstoot gegee.

7 Hy het die heilige paal^h wat hy gemaak het, in die huis gesit waarvan Jehovah vir Dawid en vir sy seun Salomo gesê het: "In hierdie huis en in Jerusalem, wat ek uit al die stamme van Israel gekies het, sal ek my naam vir altyd vestig.ⁱ **8** En ek sal Israel nooit weer laat wegtrek uit die land wat ek aan hulle voorvaders gegee het nie,^j solank hulle streng gehoorsaam is aan alles wat ek hulle beveel het,^k aan die hele Wet wat my kneg Moses hulle beveel het om te onderhou." **9** Maar hulle was nie gehoorsaam nie, en Manas'se het hulle 'n verkeerde weg laat volg en hulle erger dinge laat doen as die nasies wat Jehovah voor die Israeliete vernietig het.^l

10 Jehovah het heelyd deur middel van sy knegte, die profete,^m gesê: **11** "Manas'se, die koning van Juda, het al hierdie afskuwelike dinge gedoen. Hy het slegter dinge gedoen as al die Amorieteⁿ wat voor hom was,^o en hy het Juda laat

21:6 *Of "deur die vuur laat gaan". *Of "voortekens". ^gOf "spiritistiese mediums aangestel". **21:7** *Sien Woordelys.

HFST. 21

a De 4:19

b Jer 32:34

c De 12:5

2Sa 7:12, 13

1Kn 8:29

1Kn 9:3

d 1Kn 6:36

1Kn 7:12

e Ese 8:16

f Le 19:26

g Le 20:27

De 18:10, 11

h 2Kn 23:6

i 2Kr 33:7-9

j 1Kr 17:9

k De 28:1

l De 7:1

m 2Kr 33:10

2Kr 36:15, 16

Jer 7:25

Mt 23:37

n Ge 15:16

o Le 18:24, 25

2Kn 23:26

2Kn 24:3

Jer 15:4

Tweede kol.

a 2Kn 22:16, 17

Mi 3:12

b Jer 19:3

c Jes 28:17

Klg 2:8

d 2Kn 17:6

Ese 23:33

e 1Kn 21:21

2Kn 10:11

f Jer 25:9

g De 32:9

2Kn 17:18

h Le 26:25

De 28:63

i De 9:21

De 31:29

Rig 2:11, 13

j 2Kn 24:3, 4

Jer 2:34

Mt 23:30

Heb 11:37

k 2Kn 21:23, 26

l Mt 1:10

sondig met sy walglike afgode.* **12** Daarom sê Jehovah, die God van Israel: 'Ek gaan so 'n groot ramp oor Jerusalem^a en Juda bring dat enigiemand wat daarvoor hoor, nie sy ore sal kan glo nie.^b **13** En ek sal vir Jerusalem dieselfde maatlyn^c gebruik as wat ek vir Samari'a gebruik het,^d asook die skietlood wat vir die huis van Agab gebruik is,^e en ek sal Jerusalem skoon vee, net soos 'n mens 'n bak skoon vee en dit omkeer.^f **14** Ek sal die oorblyfsel van my erfdeel^g verlaat en hulle in die hand van hulle vyande gee. En hulle vyande sal hulle as buit wegneem^h **15** omdat hulle gedoen het wat sleg is in my oë en my aanstoot gegee het van die dag af dat hulle voorvaders uit Egipte uitgegaan het tot vandag toe."ⁱ

16 Manas'se het Juda laat sondig deur hulle te laat doen wat sleg is in die oë van Jehovah. En buite daardie sonde het hy so baie onskuldige mense doorgemaak dat hy Jerusalem van die een end tot die ander met hulle bloed gevul het.^j **17** Wat die res van die geskiedenis van Manas'se betref, alles wat hy gedoen het en die sondes wat hy gepleeg het, dit is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **18** Manas'se het gesterf,* en hy is in die tuin van sy paleis,^k in die tuin van Ussa,^k begrawe. En sy seun Amon het in sy plek koning geword.

19 Amon^l was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het twee jaar lank in Jerusalem

21:11 *Die Hebreuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. **21:18** *Lett. "is by sy vaders neergelê". *Lett. "huis".

regeer.^a Sy ma was Mesulle'-met, die dogter van Harus, uit Jotba. **20** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Manas'se, gedoen het.^b **21** Hy het dieselfde weg gevolg as sy pa, en hy het aangehou om die walglike afgode wat sy pa gedien het, te aanbied en om voor hulle neer te buig.^c **22** Hy het Jehovah, die God van sy voorvaders, verlaat, en hy het nie die weg van Jehovah gevolg nie.^d **23** Later het Amon se knegte teen hom saamgesweer, en hulle het die koning in sy eie huis vermoor. **24** Maar die volk van die land het almal doodgemaak wat teen koning Amon saamgesweer het, en hulle het sy seun Josi'a in sy plek koning gemaak.^e **25** Die res van die geskiedenis van Amon en wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **26** Hulle het hom in sy graf in die tuin van Ussa' begrawe, en sy seun Josi'a^a het in sy plek koning geword.

22 Josi'a^b was agt jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 31 jaar lank in Jerusalem regeer.ⁱ Sy ma was Jedi'da, die dogter van Ada'ja, uit Boskat.^j **2** Hy het gedoen wat reg is in Jehovah se oë en dieselfde weg gevolg as sy voorvader Dawid,^k en hy het nie regs of links daarvan afgewyk nie.

3 In die 18de jaar van koning Josi'a het die koning sy sekretaris, Safan, die seun van Asal'ja, die seun van Mesul'lam, na die huis van Jehovah' gestuur en gesê: **4** "Gaan na die hoëpriester Hilki'a^m en laat hom al die geld insamel wat in die huis van Jehovah ingebring word,ⁿ wat die deurwagters by die volk ingesamel het.^o **5** Hulle moet dit gee vir die manne wat aan-

HFST. 21

a 2Kr 33:21

b 2Kr 33:22, 23

c 2Kn 21:1, 3

d 2Kn 22:16, 17
Jer 2:13

e 2Kr 33:25

f 2Kn 21:18

g Mt 1:10

HFST. 22

h 1Kn 13:2
Jer 1:2
Sef 1:1

i 2Kr 34:1, 2

j Jos 15:20, 39

k 1Kn 15:5

l 2Kr 34:8

m 1Kr 6:13

n 2Kn 12:4, 5
2Kr 24:8o 2Kn 12:9
2Kr 34:9

Tweede kol.

a 2Kn 12:11, 12
2Kr 34:10

b 2Kr 34:11

c 2Kn 12:15
2Kr 34:12

d 2Kn 22:3

e De 31:24-26

f 2Kr 34:14, 15

g 2Kr 34:16-18

h De 31:9

i 2Kr 34:19-21
Jl 2:13j 2Kn 25:22
Jer 26:24k De 4:24
De 29:27
De 31:17

gestel is om oor die werk in die huis van Jehovah toesig te hou. En hulle moet dit dan gee vir die werkers in die huis van Jehovah wat die skade aan* die huis moet herstel.^a **6** dit wil sê vir die ambagsmanne, die bouers en die messelaars. En hulle moet dit gebruik om balke en gekapte klippe te koop om die huis mee te herstel.^b **7** Maar geen verslag moet van hulle geëis word vir die geld wat vir hulle gegee word nie, want hulle is betroubaar."^c

8 Later het die hoëpriester Hilki'a vir Safan, die sekretaris,^d gesê: "Ek het die Wetboek^e in die huis van Jehovah gevind." En Hilki'a het die boek vir Safan gegee, wat dit begin lees het.^f **9** Toe het Safan, die sekretaris, na die koning toe gegaan en vir hom gesê: "U knegte het die geld gaan haal* wat in die huis was, en hulle het dit vir die manne gegee wat aangestel is om oor die werk in die huis van Jehovah toesig te hou."^g **10** Safan, die sekretaris, het verder vir die koning gesê: "Die priester Hilki'a het vir my 'n boek^h gegee." En Safan het vir die koning daaruit begin lees.

11 Toe die koning die woorde van die Wetboek hoor, het hy onmiddellik sy kleres geskeur.ⁱ **12** Daarna het die koning die volgende bevel gegee aan die priester Hilki'a, aan Ahi'kam,^j die seun van Safan, aan Agbor, die seun van Miga'ja, aan Safan, die sekretaris, en aan Asa'ja, die koning se knegt: **13** "Gaan raadpleeg Jehovah vir my, vir die volk en vir die hele Juda in verband met die woorde van hierdie boek wat gevind is, want Jehovah is woedend vir ons^k omdat ons voorva-

22:5 *Of "die krake in". **22:9** *Lett. "uitgegooi".

ders ongehoorsaam was aan die woorde van hierdie boek en omdat hulle nie alles gedoen het wat vir ons voorgeskryf is nie."

14 Toe het die priester Hilki'a, Ahi'kam, Agbor, Safan en Asa'ja na die profetes Hulda^a toe gegaan. Sy was die vrou van Sallum, die seun van Tikwa, die seun van Harhas, die klerewarmer. Sy het in die nuwe deel* van Jerusalem gewoon, en hulle het daar met haar gaan praat.^b **15** Sy het vir hulle gesê: "Jehovah, die God van Israel, sê: 'Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het: **16** "Dit is wat Jehovah sê: 'Ek gaan rampspoed bring oor hierdie plek en sy inwoners - alles wat geskryf is in die boek wat die koning van Juda gelees het.^c **17** Hulle het my verlaat, hulle laat offerrook vir ander gode opgaan^d en hulle het my aanstoot gegee deur alles wat hulle gedoen het.^e Daarom sal ek met groot woede teen hierdie plek optree, en my woede sal nie gebels word nie."^f **18** Maar gaan na die koning van Juda wat julle gestuur het om Jehovah te raadpleeg, en sê vir hom: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Jy het die woorde van die Wet gehoor, **19** en jy het goed gereageer* en jy het nederig berou getoon^g voor Jehovah toe jy gehoor het wat ek teen hierdie plek en sy inwoners gesê het - dat dit iets skokkends en 'n vloek sal word. Jy het jou klere geskeur^h en voor my gehuil, en daarom het ek jou gehoor, sê Jehovah. **20** Daarom sal ek jou in vrede laat sterf,* en jy sal nie al die rampspoed sien wat ek oor hierdie plek sal

22:14 *Of "Tweede Stadsdeel". **22:19** *Lett. "jou hart was sag". **22:20** *Lett. "tot jou vaders versamel".

HFST. 22

a Eks 15:20
Rig 4:4
Ne 6:14
Lu 2:36
Han 21:8, 9

b 2Kr 34:22-28

c 2Kn 22:8

d Eks 20:3
De 32:17
Rig 2:12
Jer 2:11

e Jes 2:8

f De 32:22
Jes 33:14
Jer 7:20
Ese 20:48

g 1Kn 21:29
Jak 4:6

h 2Kn 22:11

Tweede kol.

HFST. 23

a 2Kr 34:29, 30

b De 31:26

c Eks 24:8

d 2Kn 22:8

e 2Kn 11:17
2Kr 15:10, 12

f Jos 24:24, 25
2Kr 34:31, 32

g 2Kn 22:4

h 2Kn 21:1, 7
2Kr 34:4

i 1Kn 12:28, 29

bring nie."'''''' Toe het hulle die antwoord aan die koning oorge-dra.

23 Die koning het toe al die ouermanne van Juda en Jerusalem laat roep.^a **2** Daarna het die koning na die huis van Jehovah gegaan saam met al die manne van Juda, al die inwoners van Jerusalem, die priesters en die profete - die hele volk, van klein tot groot. Hy het al die woorde van die boek^b van die verbond^c wat in die huis van Jehovah gevind is, vir hulle voorgelees.^d **3** Die koning het by die pilaar gestaan en 'n verbond voor Jehovah gemaak.*^e Hy het belowe om Jehovah te volg en sy gebooi, sy herinneringe en sy wetsbepalings met sy hele hart en met sy hele siel^f te gehoorsaam deur die woorde van hierdie verbond wat in die boek geskryf is, uit te voer. En die hele volk het die verbond aanvaar.^f

4 Die koning het die hoëpriester Hilki'a,^g die ander priesters en die deurwagters beveel om al die voorwerpe wat vir Baäl, vir die heilige paal^h en vir die hele leërmag van die hemel gemaak is, uit die tempel van Jehovah te neem. Toe het hy dit buite Jerusalem op die terrasse van Kidron verbrand, en hy het die as daarvan na Bet-El geneem.ⁱ **5** Hy het 'n einde gemaak aan die bedrywigheide van die priesters van vreemde gode, wat deur die konings van Juda aangestel is om offerrook te laat opgaan op die offerhoogtes in die stede van Juda en die omgewing van Jerusalem. Hy het ook almal verwyder wat vir Baäl, vir die son, vir die maan, vir die sterrebeelde van die dierieriem en vir die hele leërmag

23:3 *Of "die verbond voor Jehovah hernu". **23:3, 4** "Sien Woordelys.

van die hemel offerrook laat opgaan het.^a **6** Hy het die heilige paal^{*b} uit die huis van Jehovah na die buitewyke van Jerusalem geneem, na die Kidron-vallei. Hy het dit in die Kidron-vallei verbrand^c en dit fyngemaal en die stof oor die grafte van die gewone mense gestrooi.^d **7** Hy het ook die huise van die manlike tempelprostitute^e afgebreek wat in die huis van Jehovah was, waar die vrouens tente geveef het wat as heiligdomme vir die heilige paal^{*} gedien het.

8 Toe het hy al die priesters uit die stede van Juda laat kom, en hy het die offerhoogtes van Geba^f af tot by Berse'ba^g waar die priesters offerrook laat opgaan het, ongeskik vir aanbidding gemaak. Hy het ook die offerhoogtes van die poorte afgebreek wat by die ingang was van die poort van Josua, die stadshoof. Dit was aan die linkerkant as 'n mens by die stadspoort ingegaan het. **9** Die priesters van die offerhoogtes het nie by die altaar van Jehovah in Jerusalem gedien nie,^h maar hulle het wel ongesuurde brood saam met hulle broers geëet. **10** Hy het Tofet,ⁱ wat in die Vallei van die Seuns van Hinnom^{*j} was, ook ongeskik vir aanbidding gemaak, sodat niemand sy seun of sy dogter vir Molog as 'n offerande in die vuur kon verbrand[#] nie.^k **11** En hy het beveel dat die perde wat deur die konings van Juda aan die son gewy^{*} is, nie meer deur die kamer[#] van Natan-Meleg die hofbeampte, wat in die pilaargang was, by die huis van Jehovah mag ingaan nie. En hy het die strydwaens

23:6, 7, 14, 15 *Sien Woordelys. **23:10** *Sien Woordelys, "Gehenna". **23:11** *deur die vuur kon laat gaan". **23:11** *Lett. "gegee". **23:11** *Of "eetkamer".

HFST. 23

a 2Kn 21:1, 3
Jer 8:1, 2

b 2Kn 21:1, 7

c De 7:25

d 2Kr 34:4

e Le 18:22
De 23:17, 18
1Kn 15:11, 12
1Kn 22:46

f Jos 21:17, 19
1Kn 15:22

g Ge 21:31

h Ese 44:10
Mal 2:7, 8

i Jer 7:31

j Jos 15:8

k 2Kn 16:2, 3
Jer 32:35

Tweede kol.

a De 4:19
Ese 8:16

b Jer 19:13
Sef 1:4, 5

c 2Kn 21:1, 5

d Sef 1:4, 5

e 1Kn 11:5, 7

f Eks 23:24
De 7:5
2Kr 34:1, 3

g 1Kn 12:28, 33

h 2Kr 34:6, 7

i 1Kn 13:2

van die son^a verbrand. **12** Die koning het ook die altare afgebreek wat die konings van Juda op die dak^b van die bo-kamer van Agas opgerig het, sowel as die altare wat Manas'se in twee voorhove van die huis van Jehovah opgerig het.^c Hy het dit fyngemaal en die stof daarvan in die Kidron-vallei gegooi. **13** Die koning het die offerhoogtes wat voor Jerusalem en suid^{*} van die Berg van Verwoesting[#] was, ongeskik vir aanbidding gemaak. Dit was die offerhoogtes wat Salomo, die koning van Israel, gebou het vir Asto'ret, die walglike godin van die Sidoniërs, vir Kamos, die walglike god van Moab, en vir Milkom,^d die afskuwelike god van die Ammoniete.^e **14** Hy het die heilige pilare in stukke gebreek en die heilige pale^{*} afgekap,^f en hy het die plekke waar hulle was, met beendere van mense gevul. **15** Hy het ook die altaar in Bet-El en die offerhoogte wat Jero'beam, die seun van Nebat, gemaak het en wat Israel laat sondig het,^g afgebreek. Nadat hy daardie altaar en die offerhoogte afgebreek het, het hy die offerhoogte verbrand, dit fyngemaal en die heilige paal^{*} verbrand.^h

16 Toe Josi'a omdraai en die grafte op die berg sien, het hy die beendere uit die grafte laat haal en dit op die altaar verbrand. So het hy die altaar ongeskik vir aanbidding gemaak, net soos Jehovah gesê het deur middel van die man van die ware God, wat voorspel het dat hierdie dinge sou gebeur.ⁱ **17** Toe het hy gevra: "Wie se graf-

23:13 *Lett. "regs", d.w.s. suid wanneer 'n mens na die ooste kyk. [#]D.w.s. die Olyfberg. Verwys veral na die suidelikste deel daarvan wat ook bekend staan as die Berg van Aanstoot.

steen is dit wat ek daar sien?" Die manne van die stad het vir hom gesê: "Dit is die graf van die man van die ware God wat uit Juda gekom het^a en wat die dinge voorspel het wat u met die altaar van Bet-El gedoen het." **18** Hy het toe gesê: "Los hom. Laat niemand aan sy beendere raak nie." Daarom het hulle nie sy beendere of die beendere van die profeet van Samari'a^b versteur nie.

19 Josi'a het ook al die huis van aanbidding verwyder wat op die offerhoogtes in die stede van Samari'a^c was, wat die konings van Israel gebou het en wat God aanstoot gegee het. Hy het dieselfde met hulle gedoen as wat hy in Bet-El gedoen het.^d **20** Hy het toe al die priesters van die offerhoogtes wat daar was, op die altare geoffer en hy het beendere van mense daarop verbrand.^e Daarna het hy na Jerusalem teruggekeer.

21 Die koning het toe vir die hele volk hierdie bevel gegee: "Hou 'n Pasga^f vir Jehovah julle God, volgens wat in hierdie boek van die verbond geskryf staan."^g **22** So 'n Pasga is nie gehou van die tyd af dat die rigters Israel gerig het nie, en ook nie in die tyd van die konings van Israel en die konings van Juda nie.^h **23** Maar in die 18de jaar van koning Josi'a is hierdie Pasga vir Jehovah in Jerusalem gehou.

24 Josi'a het ook ontslae geraak van almal wat geeste oproep,^{*} sowel as die fortuinvertellers,ⁱ die terafim-beelde,[†] die walglike afgode^Δ en al die

23:24 *Of "van die spiritistiese mediums". Of "huisgode; afgode". ΔDie Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasing" en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 23

a 1Kn 13:1

b 1Kn 13:30, 31

c 1Kn 12:25, 31
1Kn 13:32
2Kn 17:9

d 2Kr 34:6, 7

e 1Kn 13:2

f 2Kr 35:1

g Eks 12:3-14

h 2Kr 35:18, 19

i Le 19:31
De 18:10, 11
2Kn 21:1, 6
Jes 8:19

j Ge 31:19

Tweede kol.

a Nu 33:52
De 12:2

b 2Kn 22:8

c De 4:29

d 2Kn 21:11, 12
2Kn 24:3, 4
Jer 15:4

e De 29:28
2Kn 25:11
Ese 23:33

f 2Kn 18:11
2Kn 21:13

g De 12:5
1Kn 8:29
1Kn 9:3

h 1Kn 9:15
2Kr 35:20-25
Sag 12:11

i 2Kr 36:1, 2

j Jer 22:11

k 2Kn 24:18

walglike dinge wat in die land van Juda en in Jerusalem was. So het hy die woorde van die Wet^a uitgevoer wat geskryf is in die boek wat die priester Hilkia^a in die huis van Jehovah gevind het.^b **25** Voor hom was daar geen koning soos hy, wat met sy hele hart en met sy hele siel^{*c} en met al sy krag, volgens die hele Wet van Moses, na Jehovah teruggekeer het nie, en ook ná hom was daar geen koning soos hy nie.

26 Maar Jehovah was nog steeds woedend vir Juda as gevolg van al die verskriklike dinge wat Manasse gedoen het en wat Hom aanstoot gegee het.^d **27** Jehovah het gesê: "Ek sal Juda voor my verwyder,^e net soos ek Israel verwyder het.^f En ek sal Jerusalem, die stad wat ek uitgekies het, verwerp, asook die huis waarvan ek gesê het: 'My naam sal daar bly.'^g"

28 Die res van die geskiedenis van Josi'a en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda. **29** In sy dae het farao Nego, die koning van Egipte, na die koning van Assirië by die Eufraatrivier gegaan, en koning Josi'a het teen hom gaan veg. Maar toe Nego hom sien, het hy hom by Megid[†]do doodgemaak.^h **30** Daarna het sy knegte sy lyk in 'n strydwa van Megid[†]do na Jerusalem geneem en hom in sy graf begrawe. Toe het die volk Jo'ahas, die seun van Josi'a, gesalf en hom in die plek van sy pa koning gemaak.ⁱ

31 Jo'ahas[†] was 23 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Hamutal,^k die dogter van Jeremia, uit

23:25 *Sien Woordelys.

Libna. **32** Hy het begin doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos sy voorvaders gedoen het.^a **33** Farao Nego^b het hom in Ribla,^c in die land Hamat, opgesluit sodat hy nie in Jerusalem kon regeer nie, en toe het hy die land 'n boete opgelê van 100 talente* silwer en 'n talent goud.^d **34** En Farao Nego het Josi'a se seun Elja'kim in die plek van sy pa, Josi'a, koning gemaak en sy naam na Joja'kim verander. Maar hy het Jo'ahas na Egipte geneem,^e waar hy uiteindelik gesterf het.^f **35** Joja'kim het die silwer en die goud aan Farao gegee, maar hy moes die mense van die land belasting laat betaal om vir Farao die silwer te gee wat hy geëis het. Joja'kim het 'n vasgestelde hoeveelheid silwer en goud van elke persoon in die land geëis sodat hy farao Nego kon betaal.

36 Joja'kim^g was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar lank in Jerusalem regeer.^h Sy ma was Sebi'da, die dogter van Peda'ja, uit Ruma. **37** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë,ⁱ net soos sy voorvaders gedoen het.^j

24 In Joja'kim se dae het koning Nebukadne'sar^k van Babilon teen hom opgetrek, en Joja'kim het drie jaar lank sy knek geword. Maar hy het teen hom in opstand gekom. **2** Toe het Jehovah rowerbendes van Galde'a,^l Sirië, Moab en Ammon teen hom begin stuur. Hy het hulle na Juda bly stuur om dit te vernietig, net soos Jehovah deur middel van sy knegte, die profete, gesê het.^m **3** Dit was op Jehovah se bevel dat dit met Juda gebeur het, sodat hy hulle voor hom kon verwyderⁿ as gevolg van al die sondes wat

23:33 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 23

- a 2Kn 21:1, 2
2Kn 21:19-21
b 2Kn 23:29
c Jer 39:5
Jer 52:10
d 2Kr 36:3
e 2Kr 36:4, 5
f Jer 22:11, 12
g Jer 1:3
Jer 22:18, 19
h 2Kr 36:5
i Jer 26:21
Jer 36:22-24
j 2Kr 28:24, 25
2Kr 33:1, 4

HFST. 24

- k Jer 25:1
Jer 46:2
Da 1:1
Da 3:1
Da 4:33
l Hab 1:6
m Le 26:27, 28
De 28:15
2Kn 23:27
n Le 26:33
De 4:26

Tweede kol.

- a 2Kn 21:11
2Kn 23:26
b 2Kn 21:16
Jer 2:34
Jer 19:4
c Jer 15:1
Klg 3:42
d 2Kr 36:8
e Jer 22:18, 19
Jer 36:30
f Jer 46:2
g Nu 34:2, 5
h Ge 15:18
1Kn 4:21
i Jer 24:1
Jer 37:1
j 2Kr 36:8
k Da 1:1
l Jer 29:1, 2
m 2Kr 36:9, 10
Jer 24:1
Ese 17:12
n Jer 52:28
o 2Kn 20:13, 17

Manas'se gepleeg het^a **4** en die onskuldige mense wat hy doodgemaak het.^{*b} Want hy het Jerusalem met onskuldige bloed gevul, en Jehovah was nie bereid om te vergewe nie.^c

5 Die res van die geskiedenis van Joja'kim en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae van die konings van Juda.^d **6** Joja'kim het gesterf,^{*e} en sy seun Joja'gin het in sy plek koning geword.

7 Die koning van Egipte het dit nooit weer gewaag om sy leërmagte uit sy land te stuur nie, want die koning van Babilon het alles geneem wat aan die koning van Egipte behoort het,^f van die Vallei* van Egipte^g af tot by die Eufraatrivier.^h

8 Joja'ginⁱ was 18 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank in Jerusalem regeer.^j Sy ma was Nehus'ta, die dogter van El'natan, van Jerusalem. **9** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos sy pa gedoen het. **10** In daardie tyd het die knegte van koning Nebukadne'sar van Babilon teen Jerusalem opgetrek en die stad beleër.^k **11** Koning Nebukadne'sar van Babilon het by die stad aangekom terwyl sy knegte dit beleër het.

12 Koning Joja'gin van Juda en sy ma, sy knegte, sy hoë amptenare en sy hofbeamptes/ het hulle oorgegee aan die koning van Babilon.^m In die agtste regeringsjaar van die koning van Babilon het hy Joja'gin gevange geneem.ⁿ **13** Toe het hy al die skatte uit die huis van Jehovah en die koning se paleis geneem.^o Hy het al die goue

24:4 *Of "die onskuldige bloed wat hy vergiet het". **24:6** *Lett. "is by sy vaders neergelê". **24:7** *Of "Wadi". Sien Woordelys.

voorwerpe stukkend gekap wat Salomo, die koning van Israel, in die tempel van Jehovah gemaak het.^a Dit het gebeur net soos Jehovah voorspel het. **14** Hy het die hele Jerusalem, al die amptenare,^b al die dapper vegters en al die ambagsmanne en metaalwerkers^{*c} in ballingskap weggeneem - hy het 10 000 in ballingskap weggeneem. Net die armste mense van die land is agtergelaat.^d **15** So het hy Joja'gin,^e die koning se ma, die koning se vrouens, sy hofbeamptes en die vooraanstaande manne van die land uit Jerusalem in ballingskap na Babilon geneem.^f **16** Die koning van Babilon het ook al die vegters, altesaam 7 000 manne, in ballingskap weggeneem, sowel as 1 000 ambagsmanne en metaalwerkers.* Hulle was almal sterk manne wat opgelei is om oorlog te voer. **17** Die koning van Babilon het Mattan'ja, Joja'gin se oom,^g in sy plek koning gemaak en sy naam na Sedeki'a^h verander.

18 Sedeki'a was 21 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Hamu'tal,ⁱ die dogter van Jeremia, uit Libna. **19** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos Joja'kim gedoen het.^j **20** Dit was as gevolg van Jehovah se woede dat hierdie dinge in Jerusalem en in Juda gebeur het, en hy het hulle uiteindelik heeltemal verwerp.^k En Sedeki'a het teen die koning van Babilon in opstand gekom.^l

25 In die negende jaar nadat Sedeki'a koning geword het, in die tiende maand, op die tiende dag van die maand, het

24:14, 16 *Of moontlik "bouers van verskansings".

HFST. 24

- a 1Kn 7:48-50
Esr 1:7
Da 5:2
b Da 1:3, 6
c Jer 24:1
d 2Kn 25:12
e 2Kn 25:27
1Kr 3:17
f Jer 22:24, 25
g 1Kr 3:15
h 2Kr 36:10-12
Jer 37:1
Jer 52:1
i 2Kn 23:31
j 2Kn 23:36, 37
Jer 24:8
Jer 37:1, 2
Jer 38:5, 6
Ese 21:25
k 2Kn 23:27
l 2Kr 36:11, 13
Jer 27:12
Jer 38:17
Ese 17:12-15

Tweede kol.

HFST. 25

- a Jer 27:8
Jer 43:10
Da 4:1
b 2Kr 36:17
Jer 34:2
Ese 24:1, 2
c Jes 29:3
Jer 32:2, 28
Jer 39:1
Jer 52:4, 5
Ese 4:1, 2
Ese 21:21, 22
d Le 26:26
De 28:53
Jer 37:21
Jer 38:2
Klg 4:4
Ese 4:16
Ese 5:10, 12
e Jer 52:6-11
f Jer 21:4
Jer 39:2, 4-7
Ese 33:21
g Ese 12:12
h Jer 21:7
i Jer 32:4, 5
Ese 12:12, 13
Ese 17:16
j Jer 40:1
k Jer 52:12-14
Klg 4:12
l 1Kn 9:8
Ps 74:3
Ps 79:1
Jes 64:11
Jer 7:14
Klg 1:10
Klg 2:7
Mi 3:12
m 1Kn 7:1
n Jer 34:22
o 2Kr 36:19
p Ne 1:3
Jer 39:8

koning Nebukadne'sar^a van Babilon met sy hele leërmag teen Jerusalem opgetrek.^b Hy het daar kamp opgeslaan en 'n beleëringsmuur reg rondom die stad gebou.^c **2** En die stad is tot die 11de jaar van koning Sedeki'a beleër. **3** Op die negende dag van die vierde maand, toe die hongersnood in die stad baie erg was^d en daar geen kos was vir die volk van die land nie,^e **4** is daar deur die stad se muur gebreek.^f Terwyl die Galddeërs die stad omsingel het, het al die soldate in die nag deur die poort tussen die twee mure naby die koning se tuin gevlug. En die koning het met die pad van die A'raba gegaan.^g

5 Maar die leërmag van die Galddeërs het die koning agternagesit, en hulle het hom in die woestynvlaktes van Je'rigo ingehaal, en al sy soldate wat saam met hom was, is verstrooi. **6** Toe het hulle die koning gevang^h en hom na die koning van Babilon in Ribla geneem, en hulle het hom gevonniss. **7** Hulle het Sedeki'a se seuns voor sy oë doodgemaak. Nebukadne'sar het Sedeki'a se oë toe verblind, sy voete in koperboeie gesit en hom na Babilon geneem.ⁱ

8 In die vyfde maand, op die sewende dag van die maand, dit wil sê in die 19de jaar van koning Nebukadne'sar, die koning van Babilon, het Nebusara'dan,^j die hoof van die wagt, die kneg van die koning van Babilon, na Jerusalem gekom.^k

9 Hy het die huis van Jehovah,^l die koning se paleis^m en al die huise van Jerusalemⁿ afgebrand. Hy het ook die huise van al die vooraanstaande manne afgebrand.^o **10** En die hele Galdese leërmag wat saam met die hoof van die wagt was, het die mure om Jerusalem afgebreek.^p **11** Nebusara'dan,

die hoof van die wagte, het die res van die volk wat in die stad oorgebly het, die mense wat na die koning van Babilon oorge-loop het en die res van die bevolking in ballingskap wegge-neem.^a **12** Maar die hoof van die wagte het van die armste mense van die land agtergelaat om wingerde te bewerk en om as slawe te werk.^b **13** Die Galdeërs het die koperpilare^c van die huis van Jehovah en die waentjies^d en die Kopersee^e wat in die huis van Jehovah was, in stukke gebreek, en hulle het die koper na Babilon weggedra.^f **14** Hulle het ook die kanne geneem, sowel as die gra-we, die blussers, die bekers en al die voorwerpe van koper wat in die diens by die tempel ge-bruik is. **15** Die hoof van die wagte het die vuurbakke en die bakke wat van egte goud^g en silwer^h was, geneem. **16** Die koper van die twee pilare, die See en die waentjies wat Salo-mo vir die huis van Jehovah ge-maak het, was te veel om ge-weeg te word.ⁱ **17** Elke pilaar was 18 el* hoog,^j en die kopstuk daarop was van koper. Die kopstuk was drie el hoog, en die netwerk en die granate reg rondom die kopstuk was alles van koper gemaak.^k Die tweede pilaar met sy netwerk was presies dieselfde.

18 Die hoof van die wagte het ook die hoofpriester Sera'ja,^l die tweede priester Sera'ja^m en die drie deurwagters saamgeneem.ⁿ **19** Hy het ook een hofbeampte wat oor die soldate aangestel was, uit die stad geneem, sowel as vyf van die koning se raadgewers wat in die stad was, die sekretaris van die hoof van die leërmag, wat

25:17 *n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 25

- a Jer 15:2
Jer 39:9
Jer 52:15, 30
Ese 5:2
- b Jer 39:10
Jer 52:16
- c 1Kn 7:15
- d 1Kn 7:27
- e 1Kn 7:23
- f 2Kn 20:17
Jer 52:17-20
- g 1Kn 7:48, 50
- h 2Kr 24:14
2Kr 36:18
Esr 1:7, 10, 11
Da 5:2
- i 1Kn 7:47
- j 1Kn 7:15
- k 1Kn 7:16, 20
Jer 52:21-23
- l Esr 7:1
- m Jer 21:1, 2
Jer 29:25, 29
- n Jer 52:24-27

Tweede kol.

- a 2Kn 25:8
Jer 39:9
Jer 40:1
- b Jer 39:5
- c Nu 34:2, 8
1Kn 8:65
- d De 28:36, 64
2Kn 23:27
Jer 25:11
- e Jer 39:13, 14
- f Jer 26:24
- g 2Kn 22:8
- h Jer 40:5, 6
- i Jer 40:7-9
- j Jer 27:12
- k Jer 40:15
- l Jer 41:1, 2
- m Jer 42:14
Jer 43:4, 7
- n Jer 41:17, 18

die volk van die land opgeroep het, en 60 manne van die gewone mense van die land wat nog in die stad was. **20** Nebusara'dan,^a die hoof van die wagte, het hulle na die koning van Babilon in Ribla geneem.^b **21** Die koning van Babilon het hulle doodgemaak in Ribla, in die land Hamat.^c So het Juda uit sy land in ballingskap gegaan.^d

22 Koning Nebukadne'sar van Babilon het Gedal'ja,^e die seun van Ahi'kam,^f die seun van Safan,^g oor die mense aangestel wat hy in Juda agtergelaat het.^h **23** Toe al die hoofde van die leërmag en hulle manne hoor dat die koning van Babilon Gedal'ja aangestel het, het hulle onmiddellik na Gedal'ja toe gegaan in Mispa. Hulle name was Is'mael, die seun van Netan'ja, Joha'nan, die seun van Kare'ag, Sera'ja, die seun van Tan'humet, die Netofatiet, en Jaäsan'ja, die seun van die Maägatiet. Hulle het saam met hulle manne daar aangekom.ⁱ **24** Toe het Gedal'ja hulle en hulle manne met 'n eed verseker: "Moenie bang wees om knegte van die Galdeërs te wees nie. Woon in die land en dien die koning van Babilon, en dit sal goed gaan met julle."^j

25 In die sewende maand het Is'mael,^k die seun van Netan'ja, die seun van Elisa'ma, wat van die koninklike geslagslyn* was, saam met tien manne na Mispa gegaan.^l Hulle het Gedal'ja aangeval en hom doodgemaak, asook die Jode en die Galdeërs wat saam met hom was. **26** Daarna het die hele volk, klein sowel as groot, insluitende die hoofde van die leërmag, na Egipte gegaan,^m want hulle was bang vir die Galdeërs.ⁿ

25:25 *Lett. "saad van die koninkryk".

27 En in die 37ste jaar van die ballingskap van koning Joja'gin^a van Juda, in die 12de maand, op die 27ste dag van die maand, in die jaar toe koning E'wil-Mero'dag van Babilon koning geword het, het hy koning Joja'gin van Juda uit die tronk vrygelaat.^b 28 Hy het hom goed behandel en hom meer geëer as die ander

HFST. 25

a 2Kn 24:8,12

Jer 24:1

Mt 1:11

konings* wat saam met hom in Babilon was. 29 Joja'gin het sy gevangenisklere uitgetrek, en hy het vir die res van sy lewe aan die koning se tafel geëet. 30 Hy het dag ná dag, al die dae van sy lewe, kos van die koning ontvang.

25:28 *Lett. "hom 'n troon gegee bo die trone van die konings".

b Jer 52:31-34

DIE EERSTE BOEK VAN

KRONIEKE

O O R S I G

- | | |
|---|--|
| <p>1 Van Adam tot by Abraham (1-27)
Abraham se nakomelinge (28-37)
Edomiete, hulle konings en sjeiks (38-54)</p> <p>2 Israel se 12 seuns (1, 2)
Nakomelinge van Juda (3-55)</p> <p>3 Nakomelinge van Dawid (1-9)
Koninklike geslagslyn van Dawid (10-24)</p> <p>4 Ander nakomelinge van Juda (1-23)
Jabes en sy gebed (9, 10)
Nakomelinge van Simeon (24-43)</p> <p>5 Nakomelinge van Ruben (1-10)
Nakomelinge van Gad (11-17)
Hagriete verslaan (18-22)
Halwe stam van Manasse (23-26)</p> <p>6 Nakomelinge van Levi (1-30)
Tempelsangers (31-47)
Nakomelinge van Aäron (48-53)
Woonplekke van Leviëte (54-81)</p> <p>7 Nakomelinge van Issaskar (1-5), van Benjamin (6-12), van Naftali (13), van Manasse (14-19), van Efraim (20-29) en van Aser (30-40)</p> <p>8 Nakomelinge van Benjamin (1-40)
Saul se geslagslyn (33-40)</p> <p>9 Geslagsregister van dié wat uit ballingskap teruggekeer het (1-34)</p> | <p>Saul se geslagslyn herhaal (35-44)</p> <p>10 Saul en sy seuns sterf (1-14)</p> <p>11 Dawid deur hele Israel as koning gesalf (1-3)
Dawid verower Sion (4-9)
Dawid se magtige vegters (10-47)</p> <p>12 Ondersteuners van Dawid se koningskap (1-40)</p> <p>13 Ark uit Kirjat-Jearim gebring (1-14)
Ussa doodgemaak (9, 10)</p> <p>14 Dawid as koning gevestig (1, 2)
Dawid se familie (3-7)
Filistyne verslaan (8-17)</p> <p>15 Leviëte dra Ark na Jerusalem (1-29)
Migal verag Dawid (29)</p> <p>16 Ark in tent gesit (1-6)
Dawid se danklied (7-36)
"Jehovah het Koning geword!" (31)
Diens voor Ark (37-43)</p> <p>17 Dawid sal nie tempel bou nie (1-6)
Verbond met Dawid vir koninkryk (7-15)
Dawid se dankgebed (16-27)</p> <p>18 Dawid se oorwinnings (1-13)
Dawid se administrasie (14-17)</p> <p>19 Ammoniete verneder Dawid se boodskappers (1-5)</p> |
|---|--|

- | | |
|---|---|
| <p>Oorwinning oor Ammon en Sirië (6-19)</p> <p>20 Rabba ingeneem (1-3)
Filistynse reuse doodgemaak (4-8)</p> <p>21 Dawid tel volk (1-6)
Straf van Jehovah (7-17)
Dawid bou 'n altaar (18-30)</p> <p>22 Dawid se voorbereidings vir tempel (1-5)
Dawid gee vir Salomo instruksies (6-16)
Leiers beveel om Salomo te help (17-19)</p> <p>23 Dawid organiseer Leviete (1-32)
Aäron en sy seuns afgesonder (13)</p> <p>24 Priesters deur Dawid in 24 afdelings ingedeel (1-19)
Ander Levitiese toewysings (20-31)</p> | <p>25 Musikante en sangers vir God se huis (1-31)</p> <p>26 Afdelings van poortwagters (1-19)
Toesighouers oor skatkamers; ander beampptes (20-32)</p> <p>27 Offisiere wat koning gedien het (1-34)</p> <p>28 Dawid praat oor bou van tempel (1-8)
Dawid gee instruksies en bouplan vir Salomo (9-21)</p> <p>29 Bydraes vir tempel (1-9)
Dawid se gebed (10-19)
Mense is vreugdevol; Salomo se koningskap (20-25)
Dawid sterf (26-30)</p> |
|---|---|

- 1** Adam, Set,^a Enos,
- 2** Kenan, Mahala'lel,^b Jered,^c
- 3** Henog,^d Metu'salag, Lameg,^e
- 4** Noag,^f Sem,^g Gam en Jafet.^h
- 5** Die seuns van Jafet was Gomer, Magog, Madai, Jawan, Tubal,ⁱ Meseg^j en Tiras.^k
- 6** Die seuns van Gomer was As'kenas, Rifat en Togar'ma.^l
- 7** Die seuns van Jawan was Eli'sa, Tarsis, Kittim en Ro'danim.
- 8** Die seuns van Gam was Kus,^m Misra'im, Put en Kanaän.ⁿ
- 9** Die seuns van Kus was Seba,^o Ha'wila, Sabta, Raäma^p en Sab'tega.
- Die seuns van Raäma was Skeba en Dedan.^q
- 10** Kus het die vader geword van Nimrod.^r Hy het die eerste magtige persoon op die aarde geword.

HFST. 1

- a Ge 4:25
b Ge 5:12, 15
c Ge 5:18
d Heb 11:5
e Ge 5:25, 28
f Ge 5:29
g Ge 11:10
h Ge 6:10
i Jes 66:19
j Ese 27:13
k Ge 10:2
l Ge 10:3
Ese 27:14
m Jes 11:11
n Ge 10:6
o Ps 72:10
p Ese 27:22
q Ge 10:7
r Ge 10:8, 9

Tweede kol.

- a Jer 46:9
b Ge 10:13, 14
c Ese 29:14
d Jos 13:2, 3
e De 2:23
Am 9:7
f Jes 23:2
g Ge 10:15-18
h Rig 1:21
i Ge 15:16
Nu 13:29
De 3:8
j De 7:1
k Jos 9:3, 7
l Ese 27:11
m Esr 4:9
n Ese 27:23
o Ge 10:22, 23
p Ge 11:14
q Ge 11:19

11 Misra'im het die vader geword van Ludim,^a A'namim, Le'habim, Naf'tuhim,^b **12** Pa'trusim,^c Kas'luhim (van wie die Filistyne^d afstam) en Kaf'torim.^e

13 Kanaän het die vader geword van Sidon,^f sy eersgeborene, en Het,^g **14** sowel as die Jebusiete,^h die Amorie,ⁱ die Girgasiëte,^j **15** die Hewiete,^k die Arkiete, die Siniete, **16** die Arwadiëte,^l die Semariëte en die Hamadiëte.

17 Die seuns van Sem was Elam,^m Assur,ⁿ Arpag'sad, Lud en Aram,

en* Us, Hul, Geter en Mas.^o

18 Arpag'sad het die vader geword van Selag,^p en Selag het die vader geword van Eber.

19 Eber het twee seuns gehad. Die naam van die een was Peleg,^{*q} want dit was in sy leeftyd dat die bevolking van

1:17 *Hier volg die name van die seuns van Aram. Sien Ge 10:23. **1:19** *Betekenen "verdeelheid".

die aarde* verdeel is. Sy broer se naam was Joktan.

20 Joktan het die vader geword van Almodad, Selef, Hasarma'wet, Jerag,^a **21** Hadram, Usal, Dikla, **22** Obal, Abi'mael, Skeba, **23** Ofir,^b Ha'wila^c en Jobab. Hulle almal was die seuns van Joktan.

24 Sem,
Arpag'sad,
Selag,

25 Eber,
Peleg,^d
Rehu,^e

26 Serug,^f
Nahor,^g
Tera,^h

27 Abram, dit wil sê Abraham.ⁱ

28 Die seuns van Abraham was Isak^j en Is'mael.^k

29 Dit is die name van hulle nakomlinge: Ne'bajot,^l die eersgeborene van Is'mael, dan Kedar,^m Ad'beël, Mibsam,ⁿ **30** Misma, Duma, Massa, Hadad, Tema, **31** Jetur, Nafis en Kedma. Dit was die seuns van Is'mael.

32 Die seuns aan wie Ketu'ra,^o Abraham se byvrou, geboorte gegee het, was Simran, Joksan, Medan, Mi'dian,^p Jisbak en Suag.^q

Die seuns van Joksan was Skeba en Dedan.^r

33 Die seuns van Mi'dian was Efa,^s Efer, Hanog, Abi'da en El'daä.

Hulle almal was die seuns van Ketu'ra.

34 Abraham het die vader geword van Isak.^t Die seuns van Isak was Esau^u en Israel.^v

35 Die seuns van Esau was E'lifas, Re'huel, Jeüs, Jalam en Korag.^w

HFST. 1

a Ge 10:26-29

b 1Kn 9:28

c Ge 2:11
Ge 25:18

d Ge 11:19

e Ge 11:21

f Ge 11:23

g Ge 11:25

h Ge 11:26

i Ge 17:5

j Ge 21:3

k Ge 16:11, 12

l Ge 28:9

m Ese 27:21

n Ge 25:13-15

o Ge 25:1-4

p Ge 37:28

q Job 2:11

r Jes 21:13

s Jes 60:6

t Han 7:8

u Ge 25:25

v Ge 32:28

w Ge 36:4, 5

Tweede kol.

a Ob 9

b Ge 36:11, 12

c Ge 36:13

d Ge 36:8

e Ge 36:20, 21

f Ge 36:22

g Ge 36:23, 24

h Ge 36:25, 26

i 1Kr 1:38

j Ge 36:27, 28

k Ge 32:3

l Ge 36:31-39

m Jer 49:13

36 Die seuns van E'lifas was Teman,^a Omar, Sefo, Gatam, Kenas, Timna en A'malek.^b

37 Die seuns van Re'huel was Nahat, Serag, Samma en Missa.^c

38 Die seuns van Seïr^d was Lotan, Sobal, Si'beon, Ana, Dison, Eser en Disan.^e

39 Die seuns van Lotan was Hori en Homam. Lotan se suster was Timna.^f

40 Die seuns van Sobal was Alwan, Mana'hat, Ebal, Sefo en Onam.

Die seuns van Si'beon was Aja en Ana.^g

41 Die seun* van Ana was Dison.

Die seuns van Dison was Hemdan, Esban, Jitran en Keran.^h

42 Die seuns van Eserⁱ was Bilhan, Sa'awan en Akan.

Die seuns van Disan was Us en Aran.^j

43 Dit is die konings wat in die land Edom^k regeer het voordat enige koning oor die Israëliete regeer het: Bela, die seun van Beor. Die naam van sy stad was Dinha'ba. **44** Toe Bela gesterf het, het Jobab, die seun van Serag, uit Bosra,^m in sy plek begin regeer. **45** Toe Jobab gesterf het, het Husam, uit die land van die Temaniete, in sy plek begin regeer. **46** Toe Husam gesterf het, het Hadad, die seun van Bedad, in sy plek begin regeer. Hy het Mi'dian in die gebied* van Moab verslaan. Die naam van sy stad was Awit. **47** Toe Hadad gesterf het, het Samla, uit Mas'reka, in sy plek begin regeer. **48** Toe Samla gesterf het, het Saul, uit Re'hobot by die Rivier, in sy

1:41 *Lett. "seuns". 1:46 *Lett. "veld".

1:19 *Lett. "dat die aarde".

plek begin regeer. **49** Toe Saul gesterf het, het Baäl-Hanan, die seun van Akbor, in sy plek begin regeer. **50** Toe Baäl-Hanan gesterf het, het Hadad in sy plek begin regeer. Die naam van sy stad was Pahu, en die naam van sy vrou was Meheta'bel, die dogter van Matred, die dogter van Me'sahab. **51** Toe het Hadad gesterf.

Die sjeiks* van Edom was sjeik Timna, sjeik Alwa, sjeik Jetet,^a **52** sjeik Oholiba'ma, sjeik Ela, sjeik Pinon, **53** sjeik Kenas, sjeik Teman, sjeik Mib-sar, **54** sjeik Mag'diël en sjeik Iram. Dit was die sjeiks van Edom.

2 Dít was die seuns van Isra-
rael:^b Ruben,^c Si'meon,^d Levi,^e Juda,^f Is'saskar,^g Se'bulon,^h **2** Dan,ⁱ Josef,^j Benjamin,^k Naf'tali,^l Gad^m en Aser.ⁿ

3 Die seuns van Juda was Er, Onan en Sela. Hy het hierdie drie seuns by Sua se dogter, die Kanaänitiese vrou, gehad.^o Maar Er, die eersgeborene van Juda, was sleg in die oë van Jehovah, en daarom het Hy hom doodgemaak.^p **4** Juda het Peres^q en Serag by sy skoon-dogter Tamar^r gehad. Juda het altesaam vyf seuns gehad.

5 Die seuns van Peres was Hesron en Hamul.^s

6 Die seuns van Serag was Simri, Etan, Heman, Kalkol en Dara. Hulle was vyf in totaal.

7 Die seun* van Karmi was Agar,[#] wat rampspoed[^] oor Isra-
rael gebing het.[†] Hy was ontrou omdat hy nie gebly het by die gebod oor die dinge wat vernietig moes word nie.^u

1:51 *'n Sjeik was 'n stamhoof. 2:7, 8 *Lett. "seuns". 2:7 #Beteeken "bringer van rampspoed; bringer van verwerping". Word ook Agan genoem in Jos 7:1. ^Of "moeilikheid; verwerping".

HFST. 1

a Ge 36:40-43

HFST. 2

b Ge 32:28
c Ge 29:32
Ge 49:3, 4
d Ge 29:33
e Ge 29:34
Ge 49:5-7
f Ge 29:35
Ge 49:8-12
Heb 7:14
g Ge 30:18
Ge 49:14, 15
h Ge 30:20
Ge 49:13
i Ge 30:4-6
Ge 49:16-18
j Ge 30:22, 24
Ge 49:22-26
k Ge 35:16, 18
Ge 49:27
l Ge 30:7, 8
Ge 49:21
m Ge 30:9-11
Ge 49:19
n Ge 30:12, 13
Ge 49:20
o Ge 38:2-5
p Ge 38:7
q Lu 3:23, 33
r Ge 38:11
s Nu 26:21
t Jos 7:15, 18
u De 7:26
Jos 6:18
Jos 22:20

Tweede kol.

a 1Sa 27:10
b Rut 4:19-21
Mt 1:3
c Mt 1:4, 5
d Nu 2:3
e Lu 3:23, 32
f Rut 2:1
g Rut 4:17, 22
1Sa 16:1
h 1Sa 17:13
i 1Sa 16:6-10
j 1Sa 16:13
1Sa 17:12
Mt 1:6
k 2Sa 17:25
l 2Sa 21:17
2Sa 23:18, 19
m 2Sa 8:16
1Kr 11:6
n 2Sa 2:18
2Sa 3:30
2Sa 23:24
o 2Sa 19:13
1Kn 2:5
p 1Kr 4:4
q Eks 17:12
Eks 24:14
r Eks 31:2-5
Eks 36:1
Eks 37:1
s Ge 50:23
1Kr 7:14
t Nu 26:29
Jos 17:1

8 Die seun* van Etan was Asar'ja.

9 Die seuns van Hesron was Jerag'meël,^a Ram^b en Kelu'bai.*

10 Ram het die vader geword van Ammina'dab.^c Ammina'dab het die vader geword van Nagson,^d die hoofman van die nakomelinge van Juda.

11 Nagson het die vader geword van Salma.^e Salma het die vader geword van Boas.^f

12 Boas het die vader geword van Obed. Obed het die vader geword van Isai.^g **13** Isai het die vader geword van Eli'ab, sy eersgeborene. Sy tweede seun was Abina'dab,^h die derde Si'mea,ⁱ **14** die vierde Neta'nel, die vyfde Raddai, **15** die sesde Osem en die sewende Dawid.^j **16** Hulle susters was Seru'ja en Abi'gail.^k Die seuns van Seru'ja was Abi'sai,^l Joab^m en A'sahel,ⁿ altesaam drie. **17** Abi'gail het aan Ama'sa^o geboorte gegee, en die vader van Ama'sa was Jeter, die Ismaeliet.

18 Kaleb,* die seun van Hesron, het seuns gehad by sy vrou Asu'ba en by Jeri'ot. Dit was haar seuns: Jeser, Sobab en Ardon. **19** Toe Asu'ba gesterf het, het Kaleb met Efrat^p getrou, en hy het Hur^q by haar gehad. **20** Hur het die vader geword van Uri. Uri het die vader geword van Besa'leël.^r

21 Later het Hesron seksuele omgang gehad met die dogter van Magir,^s die vader* van Gi'lead.^t Hy was 60 jaar oud toe hy met haar getrou het, en sy het aan Segub geboorte gegee. **22** Segub het die vader

2:9 *Ook Kaleb genoem in vs. 18, 19, 42. 2:18 *Ook Kelubai genoem in vs. 9. 2:21 *Sommige name in hierdie hoofstuk kan na plekke verwys eerder as na mense. In sulke gevalle beteken "vader" moontlik "stigter".

geword van Jaïr,^a wat 23 stede in die land Gi'lead gehad het.^b **23** Gesur^c en Sirië^d het later Hawwot-Jaïr,^e asook Kenat^f en sy afhanklike* dorpe, van hulle afgeneem, altesaam 60 stede. Hulle was almal nakomelinge van Magir, die vader van Gi'lead.

24 Ná Hesron^g se dood in Ka'leb-E'frata het sy vrou Abi'a geboorte gegee aan Asgur,^h die vader van Teko'a.ⁱ

25 Die seuns van Jerag'meël, die eersgeborene van Hesron, was Ram, die eersgeborene, Buna, Oren, Osem en Ahi'a. **26** Jerag'meël het nog 'n vrou gehad, met die naam Ata'ra. Sy was die ma van Onam. **27** Die seuns van Ram, die eersgeborene van Jerag'meël, was Maäs, Jamin en Eker. **28** Die seuns van Onam was Sammai en Jada. Die seuns van Sammai was Nadab en Abi'sur. **29** Die naam van Abi'sur se vrou was Abi'hail, by wie hy Agban en Molid gehad het. **30** Die seuns van Nadab was Seled en Appa'im. Maar Seled het gesterf sonder dat hy kinders gehad het. **31** Die seun* van Appa'im was Jis'eï. En die seun* van Jis'eï was Sesan, en die seun* van Sesan was Aglai. **32** Die seuns van Jada, die broer van Sammai, was Jeter en Jo'natan. Maar Jeter het gesterf sonder dat hy kinders gehad het. **33** Die seuns van Jo'natan was Pelet en Sasa. Dit was die nakomelinge van Jerag'meël.

34 Sesan het geen seuns gehad nie, net dogters. En Sesan het 'n Egiptiese kneg gehad met die naam Jarha. **35** Sesan het sy dogter as

HFST. 2

a De 3:14
Jos 13:29, 30

b Nu 32:40, 41

c 2Sa 3:3
2Sa 13:38

d 2Sa 8:6

e 1Kn 4:13

f Nu 32:42

g Ge 46:12

h 1Kr 4:5

i Ne 3:5

Tweede kol.

a 1Kr 2:9

b Jos 15:20, 58
Ne 3:16

c Jos 15:21, 31

d Jos 15:20, 57

e 1Kr 2:18

f Jos 15:16, 17

vrou aan sy kneg Jarha gegee, en hy het Attai by haar gehad. **36** Attai het die vader geword van Natan. Natan het die vader geword van Sabad. **37** Sabad het die vader geword van Eflal. Eflal het die vader geword van Obed. **38** Obed het die vader geword van Jehu. Jehu het die vader geword van Asar'ja. **39** Asar'ja het die vader geword van Heles. Heles het die vader geword van Elea'sa. **40** Elea'sa het die vader geword van Sismai. Sismai het die vader geword van Sallum. **41** Sallum het die vader geword van Jekam'ja. Jekam'ja het die vader geword van Eli-sa'ma.

42 Die seuns van Kaleb,^{*a} die broer van Jerag'meël, was Mesa, sy eersgeborene, wat die vader van Sif was, en daar was die seuns van Mare'sa, die vader van He'bron. **43** Die seuns van He'bron was Korag, Tappu'ag, Rekem en Sema. **44** Sema het die vader geword van Raham, die vader van Jor'keam. Rekem het die vader geword van Sammai. **45** Die seun van Sammai was Maon. Maon was die vader van Bet-Sur.^b **46** Kaleb se byvrou Efa het geboorte gegee aan Haran, Mosa en Gases. Haran het die vader geword van Gases. **47** Die seuns van Jadai was Regem, Jotam, Gesan, Pelet, Efa en Saäf. **48** Kaleb se byvrou Ma'äga het aan Seber en Tir'hana geboorte gegee. **49** Ná verloop van tyd het sy geboorte gegee aan Saäf, die vader van Madman'na,^c en aan Sewa, die vader van Magbe'na en Gi'bea.^d Kaleb^e se dogter was Agsa.^f **50** Dit was die nakomelinge van Kaleb.

2:23 *Of "omliggende". 2:31 *Lett. "seuns".

2:42 *Ook Kelubai genoem in vs. 9.

Die seuns van Hur,^a die eersgeborene van E'frata,^b was Sobal, die vader van Kir'jat-Jea'rim,^c **51** Salma, die vader van Betlehem,^d en Haraf, die vader van Bet-Gader. **52** Sobal, die vader van Kir'jat-Jea'rim, het seuns gehad: Ha'roë en die helfte van die Menu'hotiete. **53** Die families van Kir'jat-Jea'rim was die Jitriete,^e die Putiete, die Sumatiete en die Misraïete. Die Soratiete^f en die Estaoliete^g het van hulle afgestam. **54** Die nakomelinge van Salma was die inwoners van Betlehem,^h Neto'fa, Atrot-Bet-Joab, die Soriete en die helfte van die Manahatiete. **55** Die families van die skrywers wat in Jabes gewoon het, was die Tiratiete, die Simeatiete en die Sugatiete. Dit was die Keniete,ⁱ die nakomelinge van Hammat, die vader van die huis van Regab.^j

3 Dit is die seuns van Dawid wat in He'bron gebore is:^k Sy eersgeborene was Amnon,^l en sy ma was Ahinoam^m van Jis'reël. Die tweede was Daniël, en sy ma was Abigail,ⁿ die Karmelitiese vrou. **2** Die derde was Absalom,^o die seun van Ma'äga, die dogter van koning Talmai van Gesur. Die vierde was Adonia,^p die seun van Haggit. **3** Die vyfde was Sefat'ja, en sy ma was Abital. Die sesde was Jit'ream, en sy ma was Dawid se vrou Eglä. **4** Hierdie ses seuns van Dawid is in He'bron gebore. Hy het 7 jaar en 6 maande daar regeer, en hy het 33 jaar lank in Jerusalem regeer.^q

5 Dit is die name van Dawid se seuns wat in Jerusalem gebore is: Si'mea, Sobab, Natan^s en Salomo.^t Batse'ba,^u die dogter van Ammi'ël, was die ma van hierdie vier. **6** Die

HFST. 2

- a Eks 17:12
Eks 24:14
b 1Kr 2:19
c Jos 15:9, 12
1Kr 13:5
d Ge 35:19
Joh 7:42
e 1Kr 11:10, 40
f 1Kr 4:2
g Jos 15:20, 33
h Ge 35:19
Mt 2:1
i Rig 1:16
Rig 4:11
1Sa 15:6
j 2Kn 10:15
Jer 35:6, 19

HFST. 3

- k 2Sa 3:2-5
l 2Sa 13:32
m 1Sa 25:43
n 1Sa 25:2, 39
o 2Sa 13:28, 37
2Sa 15:10
2Sa 18:14
p 1Kn 1:5, 11
1Kn 2:24
q 2Sa 5:5
r 2Sa 5:13-16
1Kr 14:3-7
s Lu 3:23, 31
t Mt 1:7
u 2Sa 11:3, 27

Tweede kol.

- a 2Sa 13:1
b 1Kn 11:43
c 2Kr 13:1
d 2Kr 14:1
e 2Kr 20:31
f 2Kr 21:5
g 2Kr 22:2
h 2Kr 24:1
i 2Kr 25:1
j 2Kn 14:21
k 2Kr 27:1
l 2Kr 28:1
m 2Kr 29:1
n 2Kn 21:1
o 2Kn 21:19
p 2Kn 22:1
q 2Kn 23:34
2Kr 36:5
r 2Kn 24:17
2Kr 36:11
s 2Kn 24:6, 8
2Kn 25:27
Est 2:6
t Esr 5:2
Mt 1:12
Lu 3:23, 27

name van nege van sy ander seuns was: Jibhar, Elisa'ma, Elife'let, **7** Noga, Nefeg, Ja'fia, **8** Elisa'ma, Elja'da en Elife'let. **9** Dit was al die seuns van Dawid, buiten die seuns van sy byvrouens, en hulle suster se naam was Tamar.^a

10 Die seun van Salomo was Reha'beam.^b Sy seun was Abi'a.^c Sy seun was Asa.^d Sy seun was Jo'safat.^e **11** Sy seun was Joram.^f Sy seun was Aha'sia.^g Sy seun was Joas.^h **12** Sy seun was Ama'sia.ⁱ Sy seun was Asar'ja.^j Sy seun was Jotam.^k **13** Sy seun was Agas.^l Sy seun was Hiski'a.^m Sy seun was Manas'se.ⁿ **14** Sy seun was Amon,^o en sy seun was Josi'a.^p **15** Die seuns van Josi'a was Joha'nän, die eersgeborene, Joja'kim,^q die tweede, Sede'ki'a,^r die derde en Sallum, die vierde. **16** Die seun van Joja'kim was Jegon'ja,^s en sy seun was Sedeki'a. **17** Die seuns van die gevangene Jegon'ja was Seal'tiël, **18** Malki'ram, Peda'ja, Senas'sar, Jekam'ja, Hosa'ma en Nedab'ja. **19** Die seuns van Peda'ja was Serubba'bel^t en Si'mei. Die seuns van Serubba'bel was Mesul'lam en Hanan'ja (en hulle suster se naam was Se'lomit). **20** Die name van vyf van sy ander seuns was: Ha'suba, Ohel, Bereg'ja, Hasad'ja en Jusab-Hesed. **21** En die seuns van Hanan'ja was Pelat'ja en Jesaja. Die seun* van Jesaja was Refa'ja. Die seun* van Refa'ja was Arnan. Die seun* van Arnan was Obad'ja. Die seun* van Obad'ja was Segan'ja. **22** Die seun* van Segan'ja was Sema'ja, en die seuns van Sema'ja was: Hattus, Jigal, Bari'ag, Near'ja en Safat, altesaam ses. **23** En die seuns van Near'ja was Eljoënai, Hiski'a en Asri'kam, altesaam

3:21, 22 * Lett. "seuns".

drie. **24** En die seuns van Eljoënai was Hodaw'ja, Elja'sib, Pela'ja, Akkub, Joha'nan, Dela'ja en Ana'ni, altesaam sewe.

4 Die seuns van Juda was Peres,^a Hesron,^b Karmi, Hur^c en Sobal.^d **2** Rea'ja, die seun van Sobal, het die vader geword van Jahat. Jahat het die vader geword van Ahu'mai en Lahad. Dit was die families van die Soratiëte.^e **3** Dit was die seuns van die vader* van Etam:^f Jis'reël, Jisma en Jidbas (en die naam van hulle suster was Haselelpo'ni). **4** Pnuel was die vader van Gedor. Eser was die vader van Husa. Dit was die seuns van Hur,^g die eersgeborene van E'frata en die vader van Betlehem.^h **5** Asgur,ⁱ die vader van Teko'a,^j het twee vrouens gehad: Hela en Na'ära. **6** Na'ära het geboorte gegee aan Ahus'sam, Hefer, Teme'ni en Ahasta'ri. Dit was die seuns van Na'ära. **7** En die seuns van Hela was Seret, Jishar en Etnan. **8** Kos het die vader geword van Anub, Sobe'ba en die families van Ahar'hel, die seun van Harum.

9 Jabes is meer geëer as sy broers, en sy ma het hom Jabes* genoem en gesê: "Ek het met pyn aan hom geboorte gegee." **10** Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: "Seën my asseblief en vergroot my gebied en help my* en beskerm my teen rampspoed sodat niks slegs met my sal gebeur nie!" En God het gedoen wat hy gevra het.

4:3 *Sommige name in hierdie hoofstuk kan na plekke verwys eerder as na mense. In sulke gevalle beteken "vader" moontlik "stigter". **4:9** *Die naam Jabes is moontlik verwant aan 'n Hebreeuse woord wat "pyn" beteken. **4:10** *Lett. "mag u hand met my wees".

HFST. 4

a Ge 38:29
Nu 26:20
Rut 4:18
Mt 1:3

b Ge 46:12
1Kr 2:5

c Eks 17:12
Eks 24:14
1Kr 2:19

d 1Kr 2:50

e 1Kr 2:53

f 2Kr 11:5, 6

g 1Kr 2:19

h Mi 5:2

i 1Kr 2:24

j 2Kr 11:5, 6

Tweede kol.

a Jos 15:16, 17
Rig 3:9, 11

b Nu 32:11, 12
Jos 15:13

c Ge 38:2, 5
Nu 26:20

11 Kelub, die broer van Suha, het die vader geword van Mehira, wat die vader van Eston was. **12** Eston het die vader geword van Bet-Rafa, Pase'ag en Tehin'na, die vader van Ir-Nahas. Dit was die manne van Rega. **13** En die seuns van Kenas was Ot'niël^a en Sera'ja, en die seun* van Ot'niël was Hatat. **14** Meono'tai het die vader geword van Ofra. Sera'ja het die vader geword van Joab, die vader van Ge-Ha'rasim,* wat so genoem is omdat die mense daar ambagsmanne was.

15 Die seuns van Kaleb,^b die seun van Jefun'ne, was Iru, Ela en Naäm. En die seun* van Ela was Kenas. **16** Die seuns van Jehal'lelel was Sif, Sifa, Ti'reja en Asa'rel. **17** Die seuns van Esra was Jeter, Mered, Efer en Jalon. Sy* het geboorte gegee aan Mirjam, Sammai en Jisbag, die vader van Estemo'a. **18** (En sy Joodse vrou het geboorte gegee aan Jered, die vader van Gedor, Heber, die vader van Sogo, en Jeku'tiël, die vader van Sano'ag.) Dit was die seuns van Bitja, die dogter van Farao, met wie Mered getrou het.

19 Die seuns van Hodi'a se vrou, die suster van Naham, was die vaders van Kehi'la, die Garmiet, en Estemo'a, die Maägatiet. **20** En die seuns van Simon was Amnon, Rinna, Ben-Hanan en Tilon. En die seuns van Jis'eï was Sohet en Ben-Sohet.

21 Die seuns* van Sela,^c die seun van Juda, was Er, die vader van Lega, en Lada, die vader van Mare'sa, en die families

4:13, 15 *Lett. "seuns". **4:14** *Betek "vallei van ambagsmanne". **4:17** *Verwys moontlik na Bitja in vs. 18. **4:21** *In Hebreeus kan die woord "seun" ook "kleinseun" of "nakomeling" beteken.

van die vervaardigers van goeie materiaal van die huis van Asbe'a, **22** Jokim, die manne van Kose'ba, Joas en Saraf, wat met Moabitiese vrouens getrou het, en Jasu'bi-Le'hem. (Hierdie verslae is baie oud.)* **23** Hulle was pottbakkers wat in Neta'im en Gede'ra gewoon het. Hulle het daar gewoon en vir die koning gewerk.

24 Die seuns van Si'meon^a was Ne'muel, Jamin, Jarib, Serag en Saul.^b **25** Sy seun was Sallum, sy seun was Mibsam en sy seun was Misma. **26** En die seuns van Misma was Ham'muel, sy seun Sakkur en sy seun Si'meï. **27** En Si'meï het 16 seuns en 6 dogters gehad. Maar sy broers het nie baie seuns gehad nie, en nie een van hulle families het soveel seuns gehad soos die manne van Juda nie.^c **28** Hulle het gewoon in Berse'ba,^d Mo'lada,^e Hasar-Sual,^f **29** Bilha, Esem,^g Tolad, **30** Be'tuel,^h Horma,ⁱ Siklag,^j **31** Bet-Marka'bot, Hasar-Susim,^k Bet-Biri en Saä-ra'im. Dit was hulle stede totdat Dawid regeer het.

32 Hulle het ook gewoon in Etam, Ajin, Rimmon, Togen en Asan,^l vyf stede, **33** en in die dorpe rondom hierdie stede tot by Baäl. Dit was hulle geslagsregisters en hulle woonplekke. **34** Me'sobab, Jamleg, Josa, die seun van Ama'sia, **35** Joël, Jehu, die seun van Josib'ja, die seun van Sera'ja, die seun van A'siël, **36** Eljoënai, Jaäko'ba, Jesoha'ja, Asa'ja, A'diël, Jesi'miël, Bena'ja, **37** Sisa, die seun van Sifi, die seun van Al-lon, die seun van Jeda'ja, die seun van Simri, die seun van Sema'ja – **38** al hierdie manne wat by name genoem is, was

4:22 *Of "Hierdie woorde is van vroeëre oorlewering".

HFST. 4

a Ge 46:10

b Nu 26:12, 13

c Nu 26:22

d Jos 19:1, 2

e Jos 15:21, 26

f Jos 15:21, 28
Jos 19:1, 3
Ne 11:25-27

g Jos 15:21, 29

h Jos 19:1, 4

i Rig 1:17

j Jos 15:20, 31
Jos 19:1, 5
1Sa 27:5, 6

k Jos 19:1, 5

l Jos 19:1, 7

Tweede kol.

a Ge 10:6, 20

b 2Kr 29:1

c Ge 36:8

d Eks 17:14, 16
1Sa 15:7

HFST. 5

e Ge 29:32
Ge 49:3, 4

f Ge 35:22

g Ge 49:22, 26
Jos 14:4

h Ge 49:8, 10
Nu 2:3
Nu 10:14
Rig 1:1, 2
Ps 60:7

i Mt 2:6
Heb 7:14

j Ge 46:9
Eks 6:14

die hoofmanne van hulle families. En hulle families het al hoe groter geword. **39** En hulle het na die ingang van Gedor gegaan, na die oostekant van die valleï, om weiding vir hulle kudde te soek. **40** Hulle het uiteindelik goeie weiding gevind, en die land was uitgestrek en stil, en daar was vrede. Die mense wat voorheen daar gewoon het, was Gamiete.^a **41** Hierdie mense wie se name op die lys is, het in die tyd van koning Hiski'a^b van Juda die tente van die Gamiete vernietig en die Meü-niete wat daar was, verslaan. Hulle het hulle heeltemal vernietig, en hulle het daar gaan woon omdat daar weivelde vir hulle kleinvee was.

42 Party van die Simeoniete, 500 manne, het na die berg Seir^c gegaan, en Pelat'ja, Near'ja, Refa'ja en Us'siël, die seuns van Jis'eï, het hulle gelei. **43** En hulle het die res van die Amalekiete^d wat weggekom het, doodgemaak, en hulle woon vandag nog daar.

5 Hier volg die name van die seuns van Ruben,^e Israel se eersgeborene. Hy was die eersgeborene, maar omdat hy die bed van sy pa onteer het,^f is sy eersgeboortereg gegee aan die seuns van Josef,^g die seun van Israel. Daarom is hy nie in die geslagsregister opgeteken as die seun met die eersgeboortereg nie. **2** Juda^h was beter as sy broers, en die een wat die leierⁱ sou wees, was een van sy nakomlinge, maar die eersgeboortereg het aan Josef behoort. **3** Die seuns van Ruben, Israel se eersgeborene, was Hanog, Pallu, Hesron en Karmi.^j **4** Die seuns* van Joël was Se-

5:4 *In Hebreeus kan die woord "seun" ook "kleinseun" of "nakomeling" beteken.

ma'ja, sy seun Gog, sy seun Si'meï, **5** sy seun Miga, sy seun Rea'ja, sy seun Baäl **6** en sy seun Beëra, wat koning Til'gat-Pilne'ser^a van Assi'rië in ballingskap weggeneem het. Beëra was 'n hoofman van die Rubeniete. **7** Sy broers volgens hulle families in die geslagsregister, volgens hulle nakomelinge, was Jeïel, wat die hoof was, Sagarï'a **8** en Bela, die seun van Asas, die seun van Sema, die seun van Joël. Bela se familie het in die gebied gewoon van A'roër^b tot by Nebo en Baäl-Meon.^c **9** Omdat hulle vee baie geword het in die land Gi'lead,^d het hulle na die ooste uitgesprei tot teen die wildernis by die Eufraatrivier.^e **10** In Saul se tyd het hulle teen die Hagriete oorlog gevoer. Hulle het die Hagriete verslaan en in hulle tentte gaan woon in die hele gebied oos van Gi'lead.

11 Die nakomelinge van Gad het langs hulle in die land Basan gewoon tot by Salka.^f **12** Joël was die hoof, en Safam was tweede in bevel. Janai en Safat was ook leiers in Basan. **13** En hulle familieledes wat aan hulle vaderhuise behoort het, was Mi'gael, Mesul'lam, Seba, Jorai, Jakan, Sia en Eber, altesaam sewe. **14** Dit was die seuns van Abi'hail, die seun van Huri, die seun van Jaro'ag, die seun van Gi'lead, die seun van Mi'gael, die seun van Jesi'sai, die seun van Jagdo, die seun van Bus. **15** Ahi, die seun van Ab'diël, die seun van Guni, was die hoof van hulle vaderhuis. **16** Hulle het gewoon in Gi'lead,^g in Basan^h en sy afhanklike* dorpe en in al die weivelde van Saron so ver as wat dit gestrek het. **17** Hulle name is in die geslagsregister opgeteken in

5:16 *Of "omliggende".

HFST. 5

a 2Kn 16:7

b De 2:36

c Nu 32:34, 38
Jos 13:15, 17
Ese 25:9, 10

d Jos 22:9

e Ge 15:18
De 1:7
Jos 1:4
2Sa 8:3

f De 3:8, 10
Jos 12:4, 5

g Nu 32:1

h De 3:3, 13
De 32:14

Tweede kol.

a 2Kn 15:32
2Kr 27:1
Jes 1:1
Ho 1:1
Mi 1:1

b 2Kn 14:16, 28

c 1Kr 5:10

d Ge 25:13, 15
1Kr 1:31

e Ps 20:7
Ps 22:4

f Jos 10:42
1Sa 17:45, 47
2Kr 20:15

g 2Kn 15:29
2Kn 17:6

h Jos 13:29, 30

i De 4:47, 48

j De 5:7-9
Rig 2:17
Rig 8:33
2Kn 17:10, 11

die tyd van koning Jotam^a van Juda en in die tyd van koning Jero'beam^b van Israel.

18 Die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se het 44 760 magtige vegters in hulle leërmag gehad wat met die skild, swaard en boog gewapen was, en hulle was opgelei om oorlog te voer. **19** Hulle het oorlog gevoer teen die Hagriete^c en die nakomelinge van Jetur, Nafis^d en Nodab. **20** Omdat hulle God vir hulp gevra het in die oorlog en op hom vertrou het, het hy hulle smeekgebed beantwoord. Hulle het hulp ontvang in die oorlog, en die Hagriete en almal wat by hulle was, is in hulle hand geee.^e **21** Hulle het hulle vee afgevat – 50 000 kamele, 250 000 skape en 2 000 donkies. Hulle het ook 100 000 mense* gevangeneem. **22** Baie van hulle vyande is doodgemaak omdat die ware God die oorlog gevoer het.^f En hulle het in hulle gebied gewoon tot die tyd van die ballingskap.^g

23 Die nakomelinge van die halwe stam van Manas'se^h het in die land gewoon van Basan af tot by Baäl-Hermon en Senir en die berg Hermon.ⁱ Hulle was baie. **24** Dit was die hoofde van hulle vaderhuise: Efer, Jis'eï, E'liël, As'riël, Jeremia, Hodaw'ja en Jagdi'ël. Hulle was magtige vegters, beroemde manne en hoofde van hulle vaderhuise. **25** Maar hulle was ontrou aan die God van hulle voorvaders en het die gode aanbid* van die volke van die land,^j wat God voor hulle vernietig het. **26** Daarom het die God van Israel koning Pul van

5:17 *D.w.s. Jerobeam II. 5:21 *Of "mensesiele". 5:25 *Of "prostituise gepleeg met die gode". Verwys na geestelike prostitutie.

Assi'rië^a (dit wil sê koning Til'gat-Pilne'ser^b van Assi'rië) beweeg om die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se in ballingskap weg te neem na Halag, Habor, Hara en die Gosanrivier,^c en hulle is vandag nog daar.

6 Die seuns van Levi^d was Gerson,^e Kehat^e en Mera'ri.^f **2** Die seuns van Kehat was Amram,^g Jishar,^g He'bron en Us'siël.^h **3** Die kinders* van Amramⁱ was Aäron,ⁱ Moses^k en Mirjam.^l En die seuns van Aäron was Nadab, Abi'hu,^m Elea'sarⁿ en I'tamar.^o **4** Elea'sar het die vader geword van Pi'nehas.^p Pi'nehas het die vader geword van Abisu'a. **5** Abisu'a het die vader geword van Bukki. En Bukki het die vader geword van Ussi. **6** Ussi het die vader geword van Serag'ja. Serag'ja het die vader geword van Me'rajot. **7** Me'rajot het die vader geword van Amar'ja. Amar'ja het die vader geword van Ahi'tub.^q **8** Ahi'tub het die vader geword van Sadok.^r Sadok het die vader geword van Ahi'maäs.^s **9** Ahi'maäs het die vader geword van Asar'ja. Asar'ja het die vader geword van Joha'nan. **10** Joha'nan het die vader geword van Asar'ja. Hy het as priester gedien in die huis wat Salomo in Jerusalem gebou het.

11 Asar'ja het die vader geword van Amar'ja. Amar'ja het die vader geword van Ahi'tub. **12** Ahi'tub het die vader geword van Sadok.^t Sadok het die vader geword van Sallum. **13** Sallum het die vader geword van Hilki'a.^u Hilki'a het die vader geword van Asar'ja. **14** Asar'ja het die vader geword van Sera'ja.^v Sera'ja het die vader geword van Jo'sa-

HFST. 5

- a Esr 1:1
Spr 21:1
b 2Kn 15:19, 29
c 2Kn 17:6
2Kn 18:11

HFST. 6

- d Ge 29:34
Eks 6:16
e Eks 6:18
Nu 3:27
f Nu 3:17
Nu 26:57
g Eks 6:21
h Eks 6:22
Le 10:4
i Eks 6:20
j 1Kr 23:13
k Eks 6:26
Han 7:37, 38
l Eks 15:20
m Eks 24:1
Le 10:1
n Nu 3:32
De 10:6
o Eks 6:23
Eks 28:1
Nu 4:28
1Kr 24:2, 4
p Eks 6:25
Nu 25:11
q 2Sa 8:17
r 1Kn 1:8
1Kn 2:35
s 2Sa 15:27, 36
t Ne 11:11
u 2Kr 34:14
v 2Kn 25:18

Tweede kol.

- a Hag 1:1
b Nu 3:18
c Nu 3:19, 20
d Nu 26:57
e Nu 3:18
f Nu 16:1, 32
Nu 26:10, 11
Jud 11
g Eks 6:24
h 1Sa 1:1
i 1Sa 1:20
j 1Sa 8:1, 2
k Eks 6:19
1Kr 23:21
l 2Sa 6:17
1Kr 15:16
m 1Kn 6:14
n 2Kr 35:15

dak.^a **15** En Jo'sadak is in ballingskap weggeneem toe Jehovah Juda en Jerusalem deur die hand van Nebukadne'sar in ballingskap laat gaan het.

16 Die seuns van Levi was Gersom,^{*} Kehat en Mera'ri. **17** Dit is die name van die seuns van Gersom: Libni en Si'meï.^b **18** Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, He'bron en Us'siël.^c **19** Die seuns van Mera'ri was Magli en Musi.

Dit was die families van die Leviete volgens hulle voorvaders:^d **20** Van Gersom:^e sy seun Libni, sy seun Jahat, sy seun Simma, **21** sy seun Joag, sy seun Iddo, sy seun Serag, sy seun Je'atrai. **22** Die nakomelinge van Kehat was sy seun Ammina'dab, sy seun Korag,^f sy seun Assir, **23** sy seun Elka'na,^g sy seun Ebja'saf, sy seun Assir, **24** sy seun Tahat, sy seun U'riël, sy seun Ussi'a en sy seun Saul. **25** Die seuns van Elka'na was Ama'sai en A'himot. **26** Die nakomelinge van Elka'na was sy seun Sofai, sy seun Nahat, **27** sy seun Eli'ab,^h sy seun Jero'ham, sy seun Elka'na. **28** Die seuns van Samuël was Joël, die eersgeborene, en Abi'a, die tweede.ⁱ **29** Die nakomelinge van Mera'ri was Magli,^k sy seun Libni, sy seun Si'meï, sy seun Ussa, **30** sy seun Si'mea, sy seun Haggi'a en sy seun Asa'ja.

31 Dawid het hierdie manne aangestel om die sangers by die huis van Jehovah te lei nadat die Ark daarin gesit is.^l **32** Hulle was verantwoordelik vir die sang by die tabernakel, die tent van samekoms, totdat Salomo die huis van Jehovah in Jerusalem gebou het.^m Hulle het hulle diens gedoen soos dit vir hulle voorgeskryf was.ⁿ **33** Dit

6:3 *Lett. "seuns".

6:16 *Ook Gerson genoem in vs. 1.

is die manne wat saam met hulle seuns gedien het: Van die seuns van die Kehatiete was daar Heman,^a die sanger. Hy was die seun van Joël,^b die seun van Samuel, **34** die seun van Elka'na,^c die seun van Jero'ham, die seun van E'liël, die seun van Toag, **35** die seun van Suf, die seun van Elka'na, die seun van Mahat, die seun van Ama'sai, **36** die seun van Elka'na, die seun van Joël, die seun van Asar'ja, die seun van Sefan'ja, **37** die seun van Tahat, die seun van Assir, die seun van Ebja'saf, die seun van Korag, **38** die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, die seun van Israel.

39 Sy broer Asaf^d het aan sy regterkant gestaan. Asaf was die seun van Bereg'ja, die seun van Si'mea, **40** die seun van Mi'gael, die seun van Baäse'ja, die seun van Malki'a, **41** die seun van Etni, die seun van Serag, die seun van Ada'ja, **42** die seun van Etan, die seun van Simma, die seun van Si'mei, **43** die seun van Jahat, die seun van Gersom, die seun van Levi.

44 Die nakomelinge van Mera'ri,^e hulle broers, was aan hulle linkerkant. Daar was Etan,^f die seun van Kisi, die seun van Abdi, die seun van Mallug, **45** die seun van Hasab'ja, die seun van Ama'sia, die seun van Hilki'a, **46** die seun van Amsi, die seun van Bani, die seun van Semer, **47** die seun van Magli, die seun van Musi, die seun van Mera'ri, die seun van Levi.

48 Hulle broers, die Leviete, was aangestel* vir die diens by die tabernakel, die huis van die ware God.^g **49** Aäron en sy seuns^h het offerrook laat opgaan op die brandofferaltaarⁱ en op die reukwerkaltaar^j en het al

HFST. 6

a 1Kr 15:16, 17

b 1Sa 8:1, 2

c 1Sa 1:1

d 1Kr 25:1

2Kr 5:12

Ps 50:Ops

e 1Kr 23:6

f 1Kr 15:16, 17

g Nu 3:5-7

h Eks 28:1

Nu 3:10

i Eks 29:38

j Eks 30:7

Tweede kol.

a Eks 30:10

Le 4:20

Le 17:11

2Kr 29:24

b Eks 6:23

c Eks 28:1

Nu 3:32

d 2Sa 8:17

e 1Kn 2:35

f Nu 13:22

Jos 21:8, 11

g Jos 14:13

Rig 1:20

h Jos 20:7, 9

i Nu 35:12, 13

j Jos 15:20, 42

k Jos 15:20, 48

l Jos 21:13-16

m Rig 1:11

n 1Kr 4:24, 32

o Jos 15:10, 12

p Jos 18:21, 24

q Jos 21:8, 18

Jer 1:1

r Jos 21:4

s Jos 21:5

die take verrig in verband met die besonder heilige dinge om vir Israel versoening te doen,^a net soos Moses, die kneg van die ware God, beveel het. **50** Dit was die nakomelinge van Aäron:^b sy seun Elea'sar,^c sy seun Pi'nehas, sy seun Abisu'a, **51** sy seun Bukki, sy seun Ussi, sy seun Serag'ja, **52** sy seun Me'rajot, sy seun Amar'ja, sy seun Ahi'tub,^d **53** sy seun Sadok^e en sy seun Ahi'maäs.

54 Hier volg 'n lys met hulle woonplekke, volgens hulle kampe* in hulle gebied. Die eerste lot is gewerp vir die nakomelinge van Aäron wat aan die familie van die Kehatiete behoort het. **55** Hulle het He'bron^f in die land van Juda sowel as die omliggende weivelde aan hulle gegee. **56** Maar hulle het die grond om die stad en die omliggende dorpies aan Kaleb,^g die seun van Jefun'ne, gegee. **57** Aan die nakomelinge van Aäron het hulle He'bron^h as 'n vrystad*ⁱ gegee, asook Libna^j met sy weivelde, Jattir,^k Estemo'a met sy weivelde,^l **58** Hilien met sy weivelde, Debir^m met sy weivelde, **59** Asanⁿ met sy weivelde en Bet-Semes^o met sy weivelde. **60** En uit die gebied van die stam van Benjamin: Geba^p met sy weivelde, Ale^q met sy weivelde en A'natot^q met sy weivelde. Hulle families het altesaam 13 stede ontvang.^r

61 Die res van die Kehatiete het tien stede ontvang* uit die gebied van die families van ander stamme en uit die gebied van die halwe stam van Manas'se.^s

62 Die families van die Gersomiete het 13 stede ontvang uit die gebied van die stam van

6:54 *Of "ommuurde kampe". **6:57** *Lett. "vrystede". **6:61** *Of "deur middel van die lot ontvang".

Is'saskar, die stam van Aser, die stam van Naftali en die stam van Manas'se in Basan.^a

63 Die families van die Merariete het deur middel van die lot 12 stede uit die gebied van die stam van Ruben, die stam van Gad en die stam van Se'bulon ontvang.^b

64 Die Israeliete het hierdie stede met hulle weivelde aan die Leviëte gegee.^c **65** En uit die gebied van die stam van Juda, die stam van Si'meon en die stam van Benjamin het hulle die stede wat hier genoem word, deur middel van die lot toege-wys.

66 Party van die Kehatitiese families het stede van die stam van E'fraim as hulle gebied ontvang.^d **67** Hulle het Sigem^e met sy weivelde in die bergstreek van E'fraim aan hulle gegee as 'n vrystad,* asook Geser^f met sy weivelde, **68** Jok'meam met sy weivelde, Bet-Horon^g met sy weivelde, **69** A'jalon^h met sy weivelde en Gat-Rimmonⁱ met sy weivelde. **70** En uit die gebied van die halwe stam van Manas'se het hulle Aner met sy weivelde en Bi'leam met sy weivelde aan die res van die families van die Kehatiete gegee.

71 Aan die Gersomiete het hulle Golan^j in Basan met sy weivelde en As'tarot met sy weivelde^k uit die gebied van die familie van die halwe stam van Manas'se gegee. **72** En uit die gebied van die stam van Is'saskar: Kedes met sy weivelde, Da'berat^l met sy weivelde,^m **73** Ramot met sy weivelde en Anem met sy weivelde. **74** Uit die gebied van die stam van Aser: Masal met sy weivelde, Abdon met sy weivelde,ⁿ **75** Hukok met sy weivelde en Rehob^o met sy weivelde. **76** En

HFST. 6

a Jos 21:27-33

b Jos 21:34-40

c Nu 35:2-4

d Jos 21:20-26

e Jos 20:7,9

f Jos 16:10

g Jos 10:11

h Jos 10:12

Rig 1:35

i Jos 19:45, 48

j De 4:41-43

k Jos 21:27

l Jos 19:12, 16

m Jos 21:8, 28

n Jos 21:8, 30

o Jos 19:28, 31

Rig 1:31

Tweede kol.

a Jos 20:7,9

Jos 21:32, 33

b Mt 3:13

c Jos 21:34-39

d Nu 21:23

e De 2:26

f Ge 32:1, 2

2Sa 2:8

g Nu 21:26

h Nu 32:1

HFST. 7

i Ge 46:13

Nu 26:23, 24

j Nu 26:25

uit die gebied van die stam van Naftali: Kedes^a in Galile'a^b met sy weivelde, Hammon met sy weivelde en Kirjata'im met sy weivelde.

77 Aan die res van die Merariete het hulle Rimmo'no met sy weivelde en Tabor met sy weivelde uit die gebied van die stam van Se'bulon^c gegee.

78 En in die Jordaanstreek naby Je'rigo, oos van die Jordaanrivier, het hulle die volgende stede uit die gebied van die stam van Ruben ontvang: Beser in die wildernis met sy weivelde, Jahas^d met sy weivelde, **79** Kede'mot^e met sy weivelde en Me-fa'at met sy weivelde. **80** En uit die gebied van die stam van Gad het hulle die volgende stede ontvang: Ramot in Gi'lead met sy weivelde, Mahana'im^f met sy weivelde, **81** Hesbon^g met sy weivelde en Jaser^h met sy weivelde.

7 Die seuns van Is'saskar was Tola, Pua, Jasub en Simronⁱ – altesaam vier. **2** Die seuns van Tola was Ussi, Refa'ja, Je'riël, Jagmai, Jibsam en Se'muel. Hulle was die hoofde van hulle vaderhuise. In Dawid se tyd was daar 22 600 magtige vegters wat van Tola afgestam het. **3** Die nakomelinge* van Ussi was Jisrag'ja, en die seuns van Jisrag'ja was: Mi'gaël, Obad'ja, Joël en Jissi'a – al vyf was hoofmanne.^h **4** Volgens die geslagsregister van die hoofde van hierdie vaderhuise was daar onder hulle nakomelinge 36 000 soldate in hulle leërmag wat kon veg, want hulle het baie vrouens en kinders gehad. **5** Hulle broers van al die families van Is'saskar was magtige vegters. Daar was 87 000 volgens die geslagsregister.^j

6:67 *Lett. "vrystede".

7:3 *Lett. "seuns". ^hLett. "hoofde".

6 Die seuns van Benjamin^a was Bela,^b Beger^c en Jedi'ael^d – altesaam drie. 7 Die seuns van Bela was Esbon, Ussi, Us'siël, Je'rimot en Iri – altesaam vyf. Hulle was hoofde van hulle vaderhuise en magtige vegters. En daar was 22 034 in hulle geslagsregister.^e 8 Die seuns van Beger was Semi'ra, Joas, Eliëser, Eljoënai, Omri, Je'remot, Abi'a, A'natot en Ale'met – hulle almal was die seuns van Beger. 9 In die geslagsregister van hulle nakomelinge was daar 20 200 magtige vegters, wat ingedeel is volgens die hoofde van hulle vaderhuise. 10 Die seuns* van Jedi'ael^f was Bilhan en die seuns van Bilhan: Jeüs, Benjamin, Ehud, Kena'ana, Setan, Tarsis en Ahisa'har. 11 Hulle almal was die seuns van Jedi'ael en was die hoofde van hulle vaderhuise. En onder hulle nakomelinge was daar 17 200 magtige vegters wat gereed was om oorlog te voer.

12 Die families van Suppim en Huppim was die seuns van Ir.^g Die families van Husim was die seuns van Aher.

13 Die seuns van Naf'tali^h was Jag'siël, Guni, Jeser en Sallum. Hulle was nakomelinge* van Bilha.ⁱ

14 Die seuns van Manas'se/^j was: As'riël, wat hy by sy Sirese byvrou gehad het. (Sy het aan Magir^k die vader* van Gi'lead geboorte gegee. 15 Magir het vrouens vir Huppim en Suppim geneem, en sy suster se naam was Ma'äga.) Die naam van die tweede was Selof'had,^l

7:10 *In Hebreeus kan die woord "seun" ook "kleinseun" of "nakomeling" beteken. 7:13, 17 *Lett. "seuns". 7:14 *Sommige name in hierdie hoofstuk kan na plekke verwys eerder as na mense. In sulke gevalle beteken "vader" moontlik "stigter".

HFST. 7

a Ge 35:16, 18
Nu 26:38, 39

b 1Kr 8:1

c Ge 46:21

d 1Kr 7:10

e Nu 26:41

f 1Kr 7:6

g 1Kr 7:7

h Nu 26:48, 49

i Ge 30:3, 8
Ge 46:24, 25

j Ge 41:50, 51

k Ge 50:23
Nu 26:29
De 3:15

l Nu 26:33

Tweede kol.

a Nu 27:1, 7

b Nu 1:33

c Nu 26:35

d 1Sa 7:14
1Sa 17:4

e Jos 16:1, 3

f Jos 16:5
Jos 21:20, 22
2Kr 8:3, 5g Eks 33:11
Nu 11:28
Nu 32:11, 12
De 34:9
Jos 1:1h Ge 28:16, 19
Jos 16:1, 2

maar Selof'had het dogters gehad.^a 16 Ma'äga, die vrou van Magir, het aan 'n seun geboorte gegee en hom Peres genoem. Sy broer se naam was Seres. Sy seuns was Ulam en Rekem. 17 Die seun* van Ulam was Bedan. Dit was die seuns van Gi'lead die seun van Magir, die seun van Manas'se. 18 En sy suster was Hammole'ket. Sy het aan Is-hod, Abiëser en Magla geboorte gegee. 19 Die seuns van Semi'da was Agjan, Sigem, Likhi en Ani'am.

20 Die seuns van E'fraim^b was Sute'lag,^c sy seun Bered, sy seun Tahat, sy seun Elea'da, sy seun Tahat, 21 sy seun Sabad, sy seun Sute'lag. Eser en E'lead was ook seuns van E'fraim. Die manne van Gat^d wat in die land gebore is, het hulle doodgemaak omdat hulle hulle vee wou neem. 22 E'fraim, hulle pa, het baie lank getreur, en sy broers het hom heeltyd kom vertroos. 23 Later het hy seksuele omgang met sy vrou gehad, en sy het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Maar hy het hom Beri'a* genoem omdat sy geboorte gegee het in 'n tyd toe daar rampspoed in sy huis was. 24 Sy dogter was Se'ëra, wat Onder-Bet-Horon^e en Bo-Bet-Horon/^f en Us'sen-Se'ëra gebou het. 25 En daar was sy seuns Refag en Resef. Resef se seun was Telag, sy seun Tahan, 26 sy seun Ladan, sy seun Ammi'hud, sy seun Elisa'ma, 27 sy seun Nun en sy seun Jo'sua.^g

28 Die woonplekke van die nakomelinge van E'fraim was Bet-El^h en sy afhanklike* dorpe, Na'äran in die ooste, Geser en

7:23 *Beteken "met rampspoed". 7:27 *Of "Jehosua", wat beteken "Jehovah is redding". 7:28 *Of "omliggende".

sy afhanklike dorpe in die weste en Sigem en sy afhanklike dorpe tot by Aja* en sy afhanklike dorpe, **29** en langs die gebied van die nakomelinge van Manas'se: Bet-Sean^a en sy afhanklike dorpe, Ta'anag^b en sy afhanklike dorpe, Megid'do^c en sy afhanklike dorpe en Dor^d en sy afhanklike dorpe. Dit is waar die seuns van Josef, die seun van Israel, gewoon het.

30 Die seuns van Aser was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beri'a,^e en hulle suster was Sera.^f **31** Die seuns van Beri'a was Heber en Mal'kiël, wat die vader van Birsajit was. **32** Heber het die vader geword van Jaflet, Somer, Hotam en hulle suster Sua. **33** Die seuns van Jaflet was Pasag, Bimhal en Aswat. Dit was die seuns van Jaflet. **34** Die seuns van Semer* was Ahi, Roga, Jehub'ba en Aram. **35** Die seuns van sy broer Helem* was Sofag, Jimna, Seles en Amal. **36** Die seuns van Sofag was Suag, Harne'fer, Sual, Beri, Jimra, **37** Besser, Hod, Samma, Silsa, Jitran en Beëra. **38** Die seuns van Jeter was Jefun'ne, Pispá en Ara. **39** Die seuns van Ulla was Arag, Han'niël en Risja. **40** Hulle almal was die seuns van Aser en hoofde van hulle vaderhuise. Hulle was uitstekende, magtige vegters en hoofde van die hoofmanne. En in hulle geslagsregister^g was daar 26 000 manne^h wat in die leërmag was en wat gereed was om oorlog te voer.

8 Benjaminⁱ het die vader geword van Bela,^j sy eersgeborene. Sy tweede seun was Asbel,^k die derde Agrag, **2** die vierde Noha en die vyfde

7:28 *Of moontlik "Gasa". Verwys nie na die Gasa in Filistea nie. 7:34 *Ook Somer genoem in vs. 32. 7:35 *Waar-skyflik dieselfde as "Hotam" in vs. 32.

HFST. 7

a Jos 17:11
1Sa 31:8, 10

b Rig 5:1, 19

c Rig 1:27
1Kn 9:15

d 1Kn 4:7, 11

e Nu 26:44, 45

f Ge 46:17

g Eks 30:14

h Nu 1:41
Nu 26:47

HFST. 8

i Ge 35:16, 18

j 1Kr 7:6

k Ge 46:21

Tweede kol.

a Ge 46:21

b Jos 21:8, 17
1Sa 13:16

c Ne 6:2

d Esr 2:1, 33

e Jos 19:42, 48
Jos 21:8, 24

Rafa. **3** Bela se seuns was: Ad-dar, Gera,^a Abi'hud, **4** Abisu'a, Naāman, Aho'ag, **5** Gera, Se-fu'fan en Huram. **6** Dit is die seuns van Ehud, die hoofde van die vaderhuise van die inwoners van Geba,^b wat in ballingskap weggeneem is na Mana'hat: **7** Naāman, Ahi'a en Gera. Gera is die een wat hulle gelei het toe hulle in ballingskap gegaan het, en hy het die vader geword van Ussa en Ahi'hud. **8** Sahara'im het kinders gehad in die gebied* van Moab, nadat hy hulle weggestuurt het. Husim en Ba'ara was sy vrouens.^c **9** En by sy vrou Hodes het hy Jobab gehad, sowel as Si'bja, Mesa, Malkam, **10** Jehus, Sagi'a en Mirma. Dit was sy seuns, die hoofde van die vaderhuise.

11 By Husim het hy Abi'tub en Elpa'al gehad. **12** En die seuns van Elpa'al was Eber, Mis-sam, Semed (wat Ono^c en Lod^d en sy afhanklike* dorpe gebou het), **13** Beri'a en Sema. Hulle was hoofde van die vaderhuise van die inwoners van A'jalon.^e Hulle het die inwoners van Gat uitgedryf. **14** Agjo, Sasak, Je'remot, **15** Sebad'ja, Arad, Eder, **16** Mi'gael, Jispa en Joha was die seuns van Beri'a. **17** Sebad'ja, Mesul'lam, Hiski, Heber, **18** Jis'merai, Jis-li'a en Jobab was die seuns van Elpa'al. **19** Jakim, Sigri, Sab-di, **20** Eliēnai, Sil'letai, E'liël, **21** Ada'ja, Bera'ja en Simrat was die seuns van Si'mei. **22** Jispan, Eber, E'liël, **23** Ab-don, Sigri, Hanan, **24** Hanan'ja, Elam, Antoti'ja, **25** Jifde'ja en Pnuel was die seuns van Sasak. **26** Sam'serai, Sehar'ja, Ata'lia, **27** Jaäres'ja, Eli'a en

8:8 *Lett. "veld". ^cOf moontlik "nadat hy sy vrouens Husim en Ba'ara weggestuurt het". 8:12 *Of "omliggende".

Sigri was die seuns van Jero'ham. **28** Hulle was hoofde van die vaderhuise, soos opgeteken in die geslagsregisters. Hierdie hoofde het in Jerusalem gewoon.

29 Jeël, die vader* van Gi'beon,^a het in Gi'beon gewoon. Sy vrou se naam was Ma'äga.^b **30** Sy seuns se name was Abdon, die eersgeborene, en Sur, Kis, Baäl, Nadab, **31** Gedor, Agjo en Seger. **32** Miklot het die vader geword van Simea. En hulle, sowel as hulle ander broers, het almal naby hulle broers in Jerusalem gewoon.

33 Ner^c het die vader geword van Kis. Kis het die vader geword van Saul.^d Saul het die vader geword van Jonatan,^e Malkisua,^f Abina'dab^g en Es'baäl.^{*h} **34** Die seun van Jonatan was Merib-Baäl.^{*i} Merib-Baäl het die vader geword van Miga.^j **35** Die seuns van Miga was Piton, Meleg, Tare'a en Agas. **36** Agas het die vader geword van Jeho'adda. Jeho'adda het die vader geword van Ale'met, Asma'wet en Simri. Simri het die vader geword van Mosa. **37** Mosa het die vader geword van Bi'nea. Bi'nea se seun was Refa. Refa se seun was Ele'a'sa. Ele'a'sa se seun was Asel. **38** Asel het ses seuns gehad, en hulle name was: Asri'kam, Bogru, Is'mael, Sear'ja, Obad'ja en Hanan. Hulle almal was die seuns van Asel. **39** En die seuns van sy broer Esek was Ulam, sy eersgeborene, Jeüs, die tweede, en Elife'let, die derde. **40** En die seuns van Ulam was magtige vegters en boog-

8:29 * Sommige name in hierdie hoofstuk kan na plekke verwys eerder as na mense. In sulke gevalle beteken "vader" moontlik "stigter". **8:33** * Ook Is-Boset genoem. **8:34** * Ook Mefiboset genoem.

HFST. 8

a Jos 9:15, 17
Jos 21:8, 17
1Kr 21:29

b 1Kr 9:35-38

c 1Sa 14:50

d 1Sa 9:1, 2
1Sa 11:15

e 1Sa 14:45

f 1Sa 14:49

g 1Sa 31:2

h 2Sa 2:8
1Kr 9:39-44

i 2Sa 4:4

j 2Sa 9:12

Tweede kol.

HFST. 9

a Jer 39:9

b Jos 9:3, 27
Esr 2:43-54
Esr 2:70
Esr 8:20
Ne 7:73
Ne 11:3

c Ne 11:4, 5

d Ne 11:7-9

e Ge 46:12
1Kr 2:4

f 1Kr 2:4, 6

g Ne 11:10-14

skutters, en hulle het baie seuns en kleinseuns gehad, altesaam 150. Hulle almal was nakomelinge van Benjamin.

9 Al die Israeliete is in die geslagsregisters opgeteken, en dit is in die Boek van die konings van Israel neergeskryf. En Juda is in ballingskap na Babilon weggeneem as gevolg van hulle ontrouheid.^a **2** Die eerstes wat na hulle woonplekke in hulle stede teruggekeer het, was 'n aantal Israeliete, die priesters, die Leviete en die tempelknegte.^{*b} **3** En party van die nakomelinge van Juda,^c Benjamin,^d E'fraim en Manas'se het in Jerusalem gaan woon: **4** Utai, die seun van Ammi'hud, die seun van Omri, die seun van Imri, die seun van Bani, van die nakomelinge van Peres,^e die seun van Juda. **5** Van die Siloniete: Asa'ja, die eersgeborene, en sy seuns. **6** Van die seuns van Serag:^f Jeël en 690 van hulle broers.

7 Van die nakomelinge van Benjamin: Sallu, die seun van Mesul'lam, die seun van Hodaw'ja, die seun van Hassenu'a, **8** Jib'neja, die seun van Jero'ham, Ela die seun van Ussi, die seun van Migri en Mesul'lam, die seun van Sefat'ja, die seun van Re'huel, die seun van Jib'nija. **9** Volgens die geslagsregisters was hulle broers altesaam 956. Al hierdie manne was hoofde van hulle vaderhuise.*

10 Van die priesters was daar Jeda'ja, Joja'rib, Jagin,^g **11** Asar'ja, die seun van Hilki'a, die seun van Mesul'lam, die seun van Sadok, die seun van Me'rajot, die seun van Ahi'tub,

9:2 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". **9:9** *Lett. "hoofde van vaders vir die huis van hulle vaders".

'n leier van die huis* van die ware God, **12** Ada'ja, die seun van Jero'ham, die seun van Pasgur, die seun van Malki'a, Masai die seun van A'diël, die seun van Jagse'ra, die seun van Mesul'lam, die seun van Mesil'lemit, die seun van Immer, **13** en hulle broers, hoofde van die vaderhuse, 1760 sterk, bekwame manne wat beskikbaar was om by die huis van die ware God te dien.

14 Van die Leviete was daar Sema'ja,^a die seun van Hassub, die seun van Asri'kam, die seun van Hasab'ja, uit die nakomelinge van Mera'ri; **15** en Bak'bakkar, Heres, Galal, Mattan'ja die seun van Miga, die seun van Sigri, die seun van Asaf, **16** Obad'ja, die seun van Sema'ja, die seun van Galal, die seun van Jedu'tun, en Bereg'ja, die seun van Asa, die seun van Elka'na, wat in die dorpe van die Netofatiëte^b gewoon het.

17 Die poortwagters^c was Sallum, Akkub, Talmon, Ahi'man, en hulle broer Sallum was die hoof, **18** wat tot op daardie tyd by die koning se poort aan die oostekant was.^d Hulle was die poortwagters van die kampe van die Leviete. **19** En Sallum, die seun van Kore, die seun van Ebja'saf, die seun van Korag, en sy broers van sy vaderhuis, die Koragiete, het toesig gehou oor die diens van die deurwagters van die tent. En hulle voorvaders het as wagte van die ingang van die kamp van Jehovah gedien. **20** Vroeër was Pi'nehas,^e die seun van Elea'sar,^f hulle leier, en Jehovah, was met hom. **21** Sagari'a,^g die seun van Meselem'ja, was die poortwagter by die ingang van die tent van samekoms.

9:11 *Of "tempel".

HFST. 9

a Ne 11:15

b 1Kr 2:54
Ne 12:28

c Esr 2:1, 42
Ne 11:19

d Ne 3:29

e Nu 25:11, 13
Jos 22:30
Rig 20:28

f Eks 6:25
Nu 3:32

g 1Kr 26:14, 19

Tweede kol.

a 1Kr 9:1

b 1Sa 9:9

c 2Kr 23:16, 19
Ne 12:45

d 1Kr 26:14-16

e 1Kr 26:20
1Kr 28:11, 12
2Kr 31:12

f Nu 1:50

g 1Kn 8:4

h Le 2:1
1Kr 23:29

i Le 23:12, 13

j Eks 27:20

k Le 2:1, 2

l Eks 25:3, 6

m Le 2:5, 7

22 Daar was altesaam 212 manne wat gekies is om poortwagters by die ingange te wees. Hulle het gewoon in hulle dorpe volgens hulle inskrywing in die geslagsregister.^a Dawid en die siener Samuel^b het hulle aangestel omdat hulle betroubaar was. **23** Hulle en hulle seuns het die verantwoordelikheid gehad om as poortwagters van die tent, die huis van Jehovah, te dien.^c **24** Die poortwagters het aan die vier kante gestaan – oos, wes, noord en suid.^d **25** Van tyd tot tyd moes hulle broers vir sewe dae van hulle dorpe af kom om saam met hulle te dien. **26** Daar was vier hoofde* van die poortwagters, wat 'n baie verantwoordelike posisie gehad het. Hulle was Leviete, en hulle het toesig gehou oor die kamers[#] en oor die skatkamers van die huis van die ware God.^e **27** Hulle het die hele nag op hulle pos gestaan reg rondom die huis van die ware God, want hulle moes wag hou. Die sleutel is ook aan hulle toevertrou, en hulle het die huis elke oggend oopgesluit.

28 Party van hulle was verantwoordelik vir die voorwerpe^f wat vir aanbidding gebruik is. Hulle het dit getel wanneer hulle dit ingebring het en wanneer hulle dit uitgeneem het. **29** Party van hulle was aangestel oor die voorwerpe, oor al die heilige voorwerpe,^g die fynmeel,^h die wyn,ⁱ die olie,^j die wierook^k en die balsemolie.^l **30** Party van die seuns van die priesters het die salf van balsemolie gemeng. **31** Mattit'ja van die Leviete, wat die eersgeborene was van Sallum, die Koragiet, was verantwoordelik vir alles wat in panne gebak is.^m

9:26 *Lekt. "magtiges". [#]Of "eetkamers".

32 Party van die Kehatiete, hulle broers, het die verantwoordelike gehad om die stapelbrode*^a elke sabbat voor te berei.^b

33 Dit was die sangers, die hoof van die vaderhuise van die Leviete. Hulle was in die kamers* en was vrygestel van ander pligte, want hulle moes dag en nag beskikbaar wees vir diens. **34** Hulle was die hoofde van die vaderhuise van die Leviete volgens hulle geslagslyn. Hulle was hoofmanne en het in Jerusalem gewoon.

35 Jeiel, die vader* van Gi'beon, het in Gi'beon^c gewoon. Sy vrou se naam was Ma'aga.

36 Sy seuns se name was Abdon, die eersgeborene, en Sur, Kis, Baäl, Ner, Nadab, **37** Gedor, Agjo, Sagari'a en Miklot.

38 Miklot het die vader geword van Si'meam. En hulle, sowel as hulle ander broers, het almal naby hulle broers in Jerusalem gewoon. **39** Ner^d het die vader geword van Kis. Kis het die vader geword van Saul.^e Saul het die vader geword van Jo'natan,^f Malkisua,^g Abina'dab^h en Es'baäl. **40** Die seun van Jo'natan was Merib-Baäl.ⁱ Merib-Baäl het die vader geword van Miga.^j

41 Die seuns van Miga was Piton, Meleg, Tagre'a en Agas. **42** Agas het die vader geword van Jara. Jara het die vader geword van Ale'met, Asma'wet en Simri. Simri het die vader geword van Mosa. **43** Mosa het die vader geword van Bi'nea. Bi'nea se seun was Refa'ja. Refa'ja se seun was Elea'sa. Elea'sa se seun was Asel. **44** Asel het ses seuns gehad, en hulle name was: Asri'kam, Bogru, Is'mael,

9:32 *D.w.s. die offerbrode. **9:33** *Of "eetkamers". **9:35** *Sommige name in hierdie hoofstuk kan na plekke verwys eerder as na mense. In sulke gevalle beteken "vader" moontlik "stigter".

HFST. 9

a 2Kr 2:4
2Kr 13:11

b Le 24:6, 8

c Jos 21:8, 17

d 1Sa 14:50

e 1Sa 9:1, 2
1Sa 11:15f 1Sa 14:45
1Sa 18:1
2Sa 1:23

g 1Sa 14:49

h 1Sa 31:2

i 2Sa 4:4

j 2Sa 9:12

Tweede kol.

HFST. 10

a 1Sa 31:1-5
2Sa 1:21, 25

b 1Kr 8:33

c 1Sa 26:9, 10

d Rig 16:21, 23

e 1Kr 10:13

f 1Sa 31:6, 7

g 1Sa 28:4
1Sa 31:8-10

h Rig 16:23, 24

i 1Sa 5:2

Sear'ja, Obad'ja en Hanan. Dit was die seuns van Asel.

10 Die Filistyne het teen Israel geveg. En die manne van Israel het van die Filistyne af weggevlug, en baie van hulle is op die berg Gilbo'a doodgemaak.^a **2** Die Filistyne was heeltyd kort op die hakke van Saul en sy seuns, en hulle het Saul se seuns Jo'natan, Abina'dab en Malkisua^b doodgemaak. **3** Die geveg teen Saul het intens geword, en die boogskutters het hom gevind en gewond.^c **4** Saul het vir sy wapendraer gesê: "Neem jou swaard en maak my dood. Dan kan hierdie onbesnede manne my nie wreed behandel nie."^d Maar sy wapendraer wou nie, want hy was baie bang. Toe het Saul die swaard geneem, dit teen hom gedruk en daarop geval.^e **5** Toe sy wapendraer sien dat Saul dood is, het hy ook op sy eie swaard geval en gesterf. **6** So het Saul en sy drie seuns en almal van sy huis gesterf.^f **7** Toe al die Israeliete in die valleï sien dat almal gevlug het en dat Saul en sy seuns gesterf het, het hulle hulle stede verlaat en gevlug. Daarna het die Filistyne gekom en in hulle stede gewoon.

8 Die volgende dag, toe die Filistyne die lyke kom stroop, het hulle Saul en sy seuns dood gevind op die berg Gilbo'a.^g **9** Hulle het Saul se klere en sy wapenrusting uitgetrek en sy kop afgekap, en hulle het 'n boodskap deur die hele land van die Filistyne gestuur om die nuus in die tempels van hulle afgode^h en onder die volk te versprei. **10** Daarna het hulle sy wapenrusting in die tempel van hulle god gesit en sy skedel aan die tempel van Dagonⁱ vasgemaak.

11 Toe die inwoners van Jabes^a in Gi'lead hoor wat die Filistyne alles aan Saul gedoen het,^b **12** het al die vegters die lyk van Saul en sy seuns weg-geneem. Hulle het hulle lyke na Jabes geneem en die beendere onder die groot boom in Jabes begrawe,^c en hulle het sewe dae lank gevas.

13 Saul het dus gesterf omdat hy ontrou was aan Jehovah. Hy was nie gehoorsaam aan die woord van Jehovah nie,^d en hy het selfs iemand wat geeste oproep,* geraadpleeg^e **14** eerder as om Jehovah te raadpleeg. Daarom het Hy hom doodgemaak en die koningskap aan Dawid, die seun van Isai, gegee.^f

11 Ná verloop van tyd het al die Israëliete by Dawid in He'bron^g bymekaargekom en gesê: "Ons is u vlees en bloed."^h **2** Toe Saul koning was, het u Israel in hulle gevegte gelei.ⁱ En Jehovah u God het vir u gesê: 'Jy sal my volk Israel as herder lei, en jy sal leier oor my volk Israel word.'^j **3** Al die ouer-manne van Israel het na die koning in He'bron gekom, en Dawid het in He'bron voor Jehovah 'n verbond met hulle gemaak. Daarna het hulle Dawid as koning oor Israel gesalf,^k net soos Jehovah deur middel van Samuel gesê het.^l

4 Later het Dawid en die hele Israel opgetrek teen Jerusalem, dit wil sê Jebus,^m waar die Jebusieteⁿ gewoon het. **5** Die inwoners van Jebus het Dawid uitgetart en gesê: "Jy sal nooit hier inkom nie!"^o Maar Dawid het die vesting Sion^p ingeneem, wat nou die Stad van Dawid is.^q **6** Toe het Dawid gesê: "Die eerste persoon wat die Jebusiete

10:13 *Of "n spiritistiese medium".
11:2 *Lett. "was u die een wat Israel uitgebring en ingebring het".

HFST. 10

- a 1Sa 11:1
- b 1Sa 31:11-13
- c 2Sa 2:5
2Sa 21:12
- d 1Sa 13:13
1Sa 15:22, 23
- e Le 20:6
1Sa 28:7
- f Rut 4:17
1Sa 13:14
1Sa 15:27, 28
2Sa 5:3

HFST. 11

- g Nu 13:22
2Sa 2:1
2Sa 5:5
1Kr 12:23
- h 2Sa 5:1, 2
- i 1Sa 18:6, 13
- j 2Sa 6:21
2Sa 7:8, 9
Ps 78:70, 71
- k 1Sa 16:13
2Sa 2:4
2Sa 5:3
- l 1Sa 15:27, 28
- m Jos 15:63
Rig 1:21
Rig 19:10
- n Ge 10:15, 16
Ge 15:18, 21
Eks 3:17
- o 2Sa 5:6-10
- p 1Kn 8:1
Ps 2:6
Ps 48:2
- q 1Kn 2:10

Tweede kol.

- a 2Sa 2:18
- b 2Sa 3:1
- c 1Sa 16:12, 13
- d 1Kr 27:1, 2
- e 2Sa 23:8
- f Jos 23:10
- g 2Sa 23:9, 10
2Sa 23:15-17
- h 1Kr 8:1, 4
- i 1Sa 17:1
- j Ps 18:50
- k 1Sa 22:1
- l Jos 15:8, 12
2Sa 23:13-17

aanval, sal hoof van die leërmag word." En Joab,^a die seun van Seru'ja, het die stad eerste aangeval, en hy het die hoof van die leërmag geword. **7** Dawid het in die vesting gaan woon, en daarom word dit die Stad van Dawid genoem. **8** Hy het by die Wal* begin bou en oral in die stad bouwerk gedoen. Joab het die res van die stad herstel. **9** Dawid het al hoe magtiger geword,^b en Jehovah van die leërmagte was met hom.

10 Dít is die hoofde van Dawid se magtige vegters, wat hom saam met die hele Israel as hulle koning ondersteun het. Hulle almal het hom gehelp om koning te word, net soos Jehovah Israel belowe het.^c **11** Dít is die lys van Dawid se magtige vegters: Jaso'beam,^d die seun van 'n Hagmoniet, die hoof van die drie.^e Hy het eenkeer 300 manne met sy spies doodgemaak.^f

12 Die tweede van die drie magtige vegters was Elea'sar,^g die seun van Dodo, die Aho-hiet.^h Hy was een van die drie magtige vegters. **13** Hy was saam met Dawid by Pas-Dammim,ⁱ waar die Filistyne vir die oorlog bymekaargekom het. In Pas-Dammim was daar 'n stuk grond vol gars, en toe die manne vir die Filistyne gevulg het, **14** het hy in die middel van die stuk grond bly staan en dit verdedig en aangehou om die Filistyne dood te maak, en so het Jehovah vir Israel 'n groot oorwinning* gegee.^j

15 Drie van die 30 hoofmanne het na Dawid toe gegaan by die rots, by die grot van Adul-lam,^k terwyl 'n kamp van die Filistyne leërmag in die Refa'ivallei was.^l **16** Dawid was toe

11:8 *Of "Millo". 'n Hebreeuse woord wat "opvulling" beteken. **11:14** *Of "redding".

in die skuilplek, en 'n groep Filistynse soldate was in Betlehem. **17** Dawid het toe gesê: "As ek maar net van die water kon drink uit die reënput by die poort van Betlehem!"^a **18** Die drie het toe die kamp van die Filistyne binnegedring en water geskep uit die reënput by die poort van Betlehem en dit na Dawid toe geneem. Maar Dawid het geweier om dit te drink en het dit voor Jehovah uitgegooi. **19** Hy het gesê: "Uit vrees vir God sal ek nooit eers daaraan dink om dit te doen nie! Moet ek die bloed drink van hierdie manne wat hulle lewens gevaag het?"^b Want hulle het hulle lewens gevaag om dit te gaan haal." Daarom het hy geweier om dit te drink. Dit is die dinge wat sy drie magtige vegters gedoen het.

20 Abi'sai,^c die broer van Joab,^d het die hoof van drie ander geword. Hy het 300 manne met sy spies doodgemaak, en hy het net so 'n goeie reputasie gehad as die eerste drie.^e **21** Hy was meer gerespekteerd as die ander twee en was hulle hoof, maar hy het nie die status van die eerste drie gehad nie.

22 Bena'ja,^f die seun van Joja'da, was 'n dapper man* wat baie magtige daade in Kab'seël^g gedoen het. Hy het die twee seuns van A'riël, die Moabiet, doodgemaak, en op 'n dag toe dit gesneeu het, het hy in 'n waterput afgeklim en 'n leeu doodgemaak.^h **23** Hy het ook 'n Egiptenaar doodgemaak wat buitengewoon groot was - vyf el lank.*ⁱ Hoewel die Egiptenaar 'n spies in sy hand gehad het wat so groot was soos die balk van 'n weefraam,^j het hy met 'n stok

11:22 *Lett. "die seun van 'n dapper man". 11:23 *Hy was omtrent 2,23 m lank. Sien Aanh. B14.

HFST. 11

a 1Sa 20:6

b Ge 9:4
Le 17:10

c 1Sa 26:6
2Sa 2:18
2Sa 18:2

d 2Sa 3:30

e 2Sa 23:18, 19

f 1Kn 4:4
1Kr 27:1, 5

g Jos 15:21

h Rig 14:5, 6
1Sa 17:36, 37
2Sa 23:20-23

i 1Sa 17:4

j 1Sa 17:7

Tweede kol.

a 1Sa 17:51

b 1Kr 11:19

c 2Sa 2:18, 23
1Kr 27:1, 7

d 2Sa 23:24-39

e 1Kr 27:1, 9

f 1Kr 27:1, 12

g 2Sa 21:18
1Kr 27:1, 11

h 1Kr 27:1, 13

i 1Kr 27:1, 15

j Rig 20:15
1Kr 12:1, 2

k Jos 24:30

l 2Sa 11:3, 17
2Sa 12:9
1Kn 15:5

teen hom gaan veg en die spies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie spies doodgemaak.^a **24** Dit is wat Bena'ja, die seun van Joja'da, gedoen het, en hy het net so 'n goeie reputasie as die drie magtige vegters gehad. **25** Hoewel hy meer gerespekteerd was as die dertig, het hy nie die status van die eerste drie gehad nie.^b Maar Dawid het hom oor sy lyfwag aangestel.

26 Die magtige vegters van die leërmag was: A'sahel,^c die broer van Joab; Elha'nan, die seun van Dodo uit Betlehem;^d **27** Sammot, die Haroriet; Heles, die Peloniet; **28** Ira,^e die seun van Ikkes, die Tekoiet; Abiëser,^f die Anatotiet; **29** Sib'begai,^g die Husatiet; Ilai, die Ahohiet; **30** Ma'harai,^h die Netofatiet; Heled,ⁱ die seun van Baäna, die Netofatiet; **31** Itai, die seun van Ribai uit Gi'bea van die Benjamine; ^j Bena'ja, die Piratoniet; **32** Hurai van die valleie* van Gaäs;^k Abi'ël, die Arbatiet; **33** Asma'wet, die Baharumiet; Eljag'ba, die Sa'alboniet; **34** die seuns van Hasem, die Gisoniet; Jo'natan, die seun van Sage, die Harariet; **35** Ahi'am, die seun van Sagar, die Harariet; Eli'fal, die seun van Ur; **36** Hefer, die Megeratiet; Ahi'a, die Peloniet; **37** Hesro, die Karmeliet; Na'arai, die seun van Esbai; **38** Joël, die broer van Natan; Mibhar, die seun van Hagri; **39** Seleke, die Ammoniet; Na'harai, die Berotiet, die wapendraer van Joab, die seun van Seru'ja; **40** Ira, die Jitriet; Gareb, die Jitriet; **41** Uri'a,^l die Heliet; Sabad, die seun van Aglai; **42** Adi'na, die seun van Sisa, die Rubeniet, 'n hoof van die Rubeniete, wat 30 manne

11:32 *Of "wadi's". Sien Woordelys.

by hom gehad het; **43** Hanan, die seun van Ma'aga; Jo'safat, die Mitniet; **44** Usi'a, die Asteratiet; Sama en Jeiel, die seuns van Hotam, die Aroëriet; **45** Jedi'ael, die seun van Simri, en sy broer Joha, die Tisiet; **46** E'liël, die Mahawiet; Jeri'bai en Josaw'ja, die seuns van Elna'am; Jitma, die Moabiet; **47** E'liël; Obed en Jaäsiël, die Mesobaïet.

12 Die volgende manne het na Dawid toe gekom in Siklag^a toe hy vir Saul, die seun van Kis, weggekruip het,^b en hulle was deel van die groep magtige vegters wat hom in die oorlog gehelp het.^c **2** Hulle was gewapen met die boog, en hulle kon met die regterhand en die linkerhand^d klippe met 'n slingervel gooi^e en pyle met 'n boog skiet. Hulle was van die broers van Saul uit Benjamin.^f **3** Ahiëser, die hoof, en sy broer Joas, die seuns van Sema'a, die Gibeatiet,^g Je'siël en Pelet, die seuns van Asma'wet,^h Be'raga, Jehu, die Anatotiet, **4** Jisma'ja, die Gibeoniet,ⁱ 'n magtige vegter onder die dertig^j en leier van die dertig, asook Jeremia, Jaha'siël, Joha'nan, Jo'sabad, die Gederatiet, **5** Elu'sai, Je'rimot, Beal'ja, Semar'ja, Sefat'ja, die Harifiet, **6** Elka'na, Jissi'a, Asa'reël, Joëser en Jaso'beam, die Koragiete,^k **7** en Joëla en Sebad'ja, die seuns van Jeroham, uit Gedor.

8 Party van die Gadiete het by Dawid aangesluit. Hulle het na hom toe gegaan by sy skuilplek in die wildernis.^l Hulle was magtige vegters, soldate wat opgelei is om oorlog te voer, en elkeen het 'n groot skild en spies gehad. Hulle gesigte was soos die gesigte van leeus en hulle was so vinnig soos die wildsbokke op die

HFST. 12

a 1Sa 27:5, 6
2Sa 1:1

b 1Sa 27:1

c 1Kr 11:10

d Rig 3:15
Rig 20:15, 16

e 1Sa 17:49

f Ge 49:27

g 1Sa 11:4

h 1Kr 11:26, 33

i Jos 9:3

j 1Kr 11:15

k Nu 26:10, 11

l 1Sa 23:14, 29
1Sa 24:22
1Kr 11:16

Tweede kol.

a Ge 49:19
De 33:20

b Le 26:8

c 1Sa 22:1
1Sa 23:14
1Sa 24:22d 1Sa 24:12, 15
1Sa 26:23
Ps 7:6e Rig 6:34
Rig 13:24, 25

f 2Sa 15:21

g Ps 54:4

h Rig 3:1, 3

berge. **9** Eser was die hoof, Obad'ja die tweede, Eli'ab die derde, **10** Misman'na die vierde, Jeremia die vyfde, **11** Attai die sesde, E'liël die sewende, **12** Joha'nan die agtste, Elsa'bad die negende, **13** Jeremia die tiende en Magban'nai die elfde. **14** Hulle was Gadiete,^a hoofde van die leërmag. Die swakste was gelyk aan 100 soldate, en die sterkste was gelyk aan 1000 soldate.^b **15** Hulle het deur die Jordaanrivier getrek in die eerste maand toe die rivier oorstroom het, en hulle het al die inwoners van die valleie na die ooste en na die weste uitgedryf.

16 Sommige van die manne van Benjamin en Juda het ook na Dawid toe gekom by sy skuilplek.^c **17** Toe het Dawid na hulle toe uitgegaan en vir hulle gesê: "As julle in vrede na my toe gekom het om my te help, sal ek lojaal aan julle wees. Maar as julle gekom het om my aan my vyande te verraai, terwyl ek niks verkeerd gedoen het nie, dan sal die God van ons voorvaders dit sien en julle straf."^d **18** Toe het die gees oor Ama'sai gekom,^e die hoof van die dertig, en hy het gesê:

"Ons behoort aan u,
o Dawid, en ons is aan u
kant, o seun van Isai.^f

Vrede, vrede vir u, en vrede
vir elkeen wat u help,
want u God help u."^g

Toe het Dawid hulle by hom laat aansluit en hulle as hoofde oor die soldate aangestel.

19 Party uit die stam van Manasse het ook na Dawid toe oorgeloop toe hy saam met die Filistyne gegaan het om teen Saul oorlog te voer. Maar hy het die Filistyne nie gehelp nie, want die leiers van die Filistyne^h het die saak bespreek en besluit om

hom weg te stuur. Hulle het gesê: "Hy sal oorloop na sy heer Saul, en dit sal ons ons lewens kos."^a **20** Toe hy na Siklag gegaan het,^b het Adnag, Jo'sabad, Jedi'ael, Mi'gael, Jo'sabad, Elihu en Sil'letai na Dawid oor-geloop. Hulle was hoofde van die duisende van Manas'se.^c **21** Hulle het Dawid gehelp om teen die rowerbende te veg, want hulle was almal sterk, dapper manne,^d en hulle het hoofde in die leërmag geword. **22** Elke dag het mense na Dawid toe gekom^e om hom te help, en sy kamp het so groot geword soos die kamp van God.^f

23 Dit was die getalle van die hoofde van die gewapende soldate wat na Dawid in Hebron gekom het^g om die koningskap van Saul aan hom te gee, net soos Jehovah beveel het.^h **24** Daar was 6 800 gewapende soldate van Juda wat groot skilde en spiese gehad het. **25** Daar was 7 100 sterk, dapper Simeoniete in die leërmag.

26 Van die Leviete: 4 600. **27** Joja'daⁱ was die leier van die seuns van Aäron,^j en daar was 3 700 by hom, **28** sowel as Sadok,^k 'n sterk en dapper jong man en 22 hoofde van Sadok se vaderhuis.

29 Van die Benjaminiete, die broers van Saul,^l was daar 3 000. Die meeste van hulle het voorheen die huis van Saul ondersteun. **30** Van die vaderhuisse van die Efraimiete was daar 20 800 sterk, dapper, beroemde manne.

31 Van die halwe stam van Manas'se was daar 18 000 wat by naam aangewys is om Dawid koning te gaan maak. **32** Van die stam van Is'saskar was daar 200 hoofmanne wat verstaan het in watter tye hulle lewe en

HFST. 12

a 1Sa 29:2-4

b 1Sa 30:1

c De 33:17

d 1Kr 5:23, 24
1Kr 11:10

e 2Sa 2:3

f 2Sa 3:1

g 2Sa 2:1
2Sa 5:1h 1Sa 16:1, 13
1Kr 11:10

i 1Kr 27:1, 5

j 1Kr 6:49

k 2Sa 8:17
1Kn 1:8
1Kn 2:35
1Kr 6:1, 8
1Kr 27:16, 17l 1Kr 8:1, 33
1Kr 12:1, 2

Tweede kol.

a Nu 32:33
Jos 13:8b Ge 49:8, 10
1Kr 11:10

HFST. 13

c 1Kr 15:25

wat geweet het wat Israel moet doen, en al hulle broers was onder hulle bevel. **33** Van Se'bulon was daar 50 000 wat in die leërmag kon dien. Hulle was gewapen en gereed om in gevegsformasie oorlog te voer, en hulle het Dawid heelhartig ondersteun.* **34** Van Naf'tali was daar 1 000 hoofde, en daar was 37 000 met groot skilde en spiese saam met hulle. **35** Van die Daniëte was daar 28 600 wat gereed was om in gevegsformasie oorlog te voer. **36** En van Aser was daar 40 000 wat in die leërmag kon dien en wat gereed was om in gevegsformasie oorlog te voer.

37 Van die ander kant van die Jordaanrivier,^a van die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas'se, was daar 120 000 soldate met allerhande wapens. **38** Hulle was almal vegters wat in gevegsformasie oorlog kon voer. Hulle het na Hebron gekom en was vasbeslote om Dawid koning oor die hele Israel te maak. Die res van Israel was ook vasbeslote* om Dawid koning te maak.^b **39** En hulle het drie dae lank daar by Dawid gebly en geëet en gedrink, want hulle broers het voorbereidings vir hulle getref. **40** En dié wat naby hulle gewoon het en selfs dié van Is'saskar, Se'bulon en Naf'tali het baie kos gebring op donkies, kamele, mule en beeste – meel, koeke van saamgeperste vye, rosynekoeke, wyn, olie, bees en skape – want daar was groot vreugde in Israel.

13 Dawid het met die hoofde oor 1 000, die hoofde oor 100 en met al die leiers vergader.^c **2** Toe het Dawid vir die

12:33 *Of "niemand wat by Dawid gesluit het, was dubbelhartig nie".
12:38 *Lett. "een van hart".

hele gemeente van Israel gesê: "As julle saamstem en as Jehovah ons God dit goedvind, laat ons 'n boodskap stuur aan die res van ons broers in al die streke van Israel en aan die priesters en aan die Leviete in hulle stede^a met weivelde om te vra dat hulle na ons toe moet kom. **3** En laat ons die Ark^b van ons God terugbring." Want in Saul se tyd het hulle dit verwaarloos.^c **4** Die hele gemeente het ingestem, want hulle het gedink dat dit 'n goeie voorstel is. **5** Daarom het Dawid die hele Israel van die rivier* van Egipte af tot by Lebo-Hamat^d bymekaar laat kom om die Ark van die ware God uit Kir'jat-Jea'rim te bring.^e

6 Dawid en die hele Israel het gegaan na Ba'ala,^f dit wil sê Kir'jat-Jea'rim, wat aan Juda behoort, om die Ark van die ware God, Jehovah, wat op sy troon bo* die gerubs sit, te gaan haal.^g Dit is voor hierdie Ark dat God se naam aangeroei word. **7** Maar hulle het die Ark van die ware God op 'n nuwe wa gesit^h en dit van Abina'dab se huis af gebring. Ussa en Agjo het die wa gelei.ⁱ **8** Dawid en die hele Israel het die geleentheid met al hulle mag voor God gevier met liedere, harpe, ander snaar-instrumente, tamboerne,^j simbole^k en trompette.^l **9** Maar toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Ussa sy hand uitgesteek en die Ark gegryp, want die beeste het dit amper laat afval. **10** Toe het Jehovah woedend geword vir Ussa, en Hy het hom doodgemaak omdat hy sy hand na die Ark uitgesteek het,^m en hy het daar voor God gesterf.ⁿ **11** En Dawid het

13:5 *Of "van Sihor". ^aOf "die ingang van Hamat". 13:6 *Of moontlik "tussen".

HFST. 13

a Nu 35:2

b 1Sa 7:2

c 1Sa 14:18

d Nu 34:2, 8

e 1Sa 6:21-7:1

2Sa 6:1, 2

1Kr 15:3

f Jos 15:9, 12

g Eks 25:22

Nu 7:89

1Sa 4:4

2Sa 6:2

h Eks 37:5

i 2Sa 6:3-8

j Eks 15:20

k 1Kr 25:1

l 2Kr 5:13

m Nu 4:15

n Le 10:1, 2

Tweede kol.

a 2Sa 6:9-11

b Ge 30:27

Ge 39:5

HFST. 14

c 1Kn 5:6, 8

d 2Sa 5:11, 12

e Ps 89:20, 21

f 2Sa 7:8

g De 17:17

h 2Sa 5:13-16

i 1Kr 3:5-9

j Lu 3:23, 31

k 1Kn 1:47

Mt 1:6

l 1Kr 11:3

m 2Sa 5:17

Ps 2:2

n 2Sa 5:18, 22

2Sa 23:13

kwaad* geword omdat Jehovah dadelik teen Ussa opgetree het, en daardie plek word tot vandag toe Peres-Ussa^a genoem.

12 Op daardie dag het Dawid vir die ware God bang geword en gesê: "Hoe sal ek die Ark van die ware God nou na my toe bring?"^a **13** Dawid het nie die Ark na hom toe gebring in die Stad van Dawid nie, maar hy het dit na die huis van Obed-Edom, die Gittiet, laat neem. **14** Die Ark van die ware God het drie maande lank in die huis van Obed-Edom gebly, en Jehovah het die huisgesin van Obed-Edom en alles wat hy gehad het, bly seën.^b

14 Koning Hiram^c van Tirus het boodskappers na Dawid toe gestuur, en ook sederhout, klipmesselaars* en houtwerkers om vir hom 'n paleis te bou.^d **2** Dawid het geweet dat Jehovah hom stewig gevestig het as koning oor Israel,^e want Hy het sy koningskap verheerlik ter wille van Sy volk Israel.^f

3 Dawid het nog vrouens^g in Jerusalem geneem, en hy het nog seuns en dogters gehad.^h

4 Dit is die name van sy kinders wat in Jerusalem gebore is:ⁱ Sam'mua, Sobab, Natan,^j Salomo,^k **5** Jibhar, Elisu'a, Elpe'let, **6** Noga, Nefeg, Ja'fia, **7** Elisa'ma, Beël'jada en Elife'let.

8 Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor die hele Israel gesalf is,^l het al die Filistyne gekom om teen Dawid te veg.^m Toe Dawid daarvan hoor, het hy teen hulle opgetrek. **9** En die Filistyne het die inwoners van die Refa'im-valleiⁿ aangeval. **10** Dawid het God geraadpleeg en gevra: "Moet ek

13:11 *Of "ontsteld". ^aBeteken "deurbraak teen Ussa". 14:1 *Of "mense wat mure bou".

teen die Filistyne gaan veg? Sal u hulle in my hand gee?" Jehovah het vir hom gesê: "Gaan, ek sal hulle beslis in jou hand gee."^a **11** En Dawid het na Baäl-Pe'rasim^b gegaan, en hy het hulle daar verslaan. Dawid het toe gesê: "Die ware God het my gebruik om deur my vyande se leërmag te breek, net soos waters deur 'n muur breek." Daarom het hulle daardie plek Baäl-Pe'rasim* genoem. **12** Die Filistyne het hulle gode daar agtergelaat, en op Dawid se bevel is die gode met vuur verbrand.^c

13 Later het die Filistyne die inwoners van die vallei weer aangeval.^d **14** Dawid het God weer vir leiding gevra, maar die ware God het vir hom gesê: "Moet hulle nie van voor af aanval nie. Gaan eerder om hulle en val hulle by die baka-bosse van agter af aan."^e **15** En wanneer jy 'n geluid hoor wat klink soos voetstappe in die toppe van die baka-bosse, moet jy aanval, want dan het die ware God voor jou uit gegaan om die leërmag van die Filistyne te verslaan."^f **16** Toe het Dawid gedoen net soos die ware God hom beveel het,^g en hulle het die Filistynse leërmag verslaan van Gi'beon af tot by Geser.^h **17** En Dawid se roem het na al die lande versprei, en Jehovah het veroorsaak dat al die nasies hom vrees.ⁱ

15 En hy het aangehou om vir hom huise te bou in die Stad van Dawid, en hy het vir die Ark van die ware God 'n plek gereedgemaak en 'n tent daarvoor opgeslaan.^j **2** Toe het Dawid gesê: "Niemand mag die Ark van die ware God dra nie, behalwe die Levie-

HFST. 14

a 2Sa 5:19-21

b Jes 28:21

c De 7:25

d 2Sa 5:22-25

e Jos 8:2
Ps 18:34f De 23:14
Rig 4:14g Ge 6:22
Eks 39:32

h Jos 16:10

i De 2:25
De 11:25
Jos 2:9

HFST. 15

j 2Sa 7:1, 2
1Kr 16:1
Ps 132:1-5

Tweede kol.

a Nu 4:15
De 10:8b 2Sa 6:12
1Kr 13:5

c Nu 3:2, 3

d 1Kr 6:1

e 1Kr 6:29, 30

f 1Kr 23:6-8

g Eks 6:18, 22

h Eks 6:16, 18

i 2Sa 8:17

j 1Sa 22:20
1Kn 2:27, 35

k 2Sa 6:3

l 2Sa 6:8

m Nu 4:15
De 31:9n Eks 25:14
Nu 4:6
2Kr 5:9

te, want Jehovah het hulle gekies om die Ark van Jehovah te dra en om hom altyd te dien."^a

3 Toe het Dawid die hele Israel in Jerusalem bymekaar laat kom om die Ark van Jehovah na die plek te bring wat hy daarvoor gereedgemaak het.^b

4 Dawid het die nakomelinge van Aäron^c en die Leviete^d bymekaar laat kom. **5** Van die Kehatiete: U'riël, die hoof, en 120 van sy broers; **6** van die Merariete: Asa'ja,^e die hoof, en 220 van sy broers; **7** van die Gersomiete: Joël,^f die hoof, en 130 van sy broers; **8** van die nakomelinge van Eli'safan:^g Sema'ja, die hoof, en 200 van sy broers; **9** van die nakomelinge van He'bron: E'liël, die hoof, en 80 van sy broers; **10** en van die nakomelinge van Us'siël:^h Ammina'dab, die hoof, en 112 van sy broers. **11** Dawid het ook die priesters Sadokⁱ en Abja'tar^j en die Leviete U'riël, Asa'ja, Joël, Sema'ja, E'liël en Ammina'dab geroep. **12** En hy het vir hulle gesê: "Julle is die hoofde van die vaderhuise van die Leviete. Julle en julle broers moet julle heilig en die Ark van Jehovah, die God van Israel, na die plek bring wat ek daarvoor gereedgemaak het. **13** Omdat julle dit nie die eerste keer gedra het nie,^k het Jehovah ons God baie kwaad vir ons geword.^l Ons het nie seker gemaak wat die regte prosedure is nie."^m **14** Die priesters en die Leviete het hulle dus geheilig sodat hulle die Ark van Jehovah, die God van Israel, kon dra.

15 Toe het die Leviete die pale op hulle skouers gesit en die Ark van die ware God gedra,ⁿ net soos Jehovah deur middel van Moses beveel het. **16** Dawid het toe vir die hoofde van die Leviete gesê om hulle

broers, die sangers, aan te stel om met vreugde te sing, onder begeleiding van musiek-instrumente: harpe,^a ander snaarinstrumente en simbale.^b

17 Toe het die Leviete Heman,^c die seun van Joël, aangesel, en van sy broers:^d Asaf, die seun van Bereg'ja, en van hulle broers, die Merariete: Etan,^e die seun van Kusa'ja. **18** En saam met hulle was hulle broers van die tweede afdeling:^f Sagari'a, Ben, Jaäsiël, Semi'ramot, Jehi'ël, Unni, Eli'ab, Bena'ja, Maäse'ja, Mattit'ja, Elife'le, Mikne'ja en die poortwagters Obed-Edom en Jeiel. **19** Die sangers Heman,^g Asaf^h en Etan moes die kopersimbale slaan.ⁱ **20** En Sagari'a, A'siël, Semi'ramot, Jehi'ël, Unni, Eli'ab, Maäse'ja en Bena'ja het op snaarinstrumente gespeel wat op Alamot* ingestem was.^j **21** En Mattit'ja,^k Elife'le, Mikne'ja, Obed-Edom, Jeiel en Asas'ja het op harpe gespeel wat op Sjeminit* ingestem was,^l en hulle was die musiekleiers. **22** Kenan'ja,^m die hoof van die Leviete, het toesig gehou oor die vervoer van die Ark, want hy was baie goed daarmee. **23** En Bereg'ja en Elka'na was wagte by die Ark. **24** Die priesters Seban'ja, Jo'safat, Neta'nel, Ama'sai, Sagari'a, Bena'ja en Eliëser het voor die Ark van die ware God hard op die trompette geblaas,ⁿ en Obed-Edom en Jehi'a was ook wagte by die Ark.

25 Toe het Dawid en die ouermanne van Israel en die hoofde oor 1 000 die ark van die verbond van Jehovah met vreugde by die huis van Obed-Edom^o gaan haal.^p **26** Omdat die ware God die Leviete gehelp het wat die ark van die verbond van Jehovah gedra het, het hulle sewe jong bulle en sewe ramme ge-

HFST. 15

a Ps 33:2

b 1Kr 16:5
2Kr 5:12, 13

c 1Kr 6:31, 33
1Kr 25:5

d 1Kr 6:31, 39
1Kr 25:1, 2
Ps 83:Ops

e 1Kr 6:31, 44

f 1Kr 25:9

g 1Kr 6:31-33

h 1Kr 25:1

i 1Kr 13:8

j Ps 46:Ops

k 1Kr 16:4, 5

l Ps 6:Ops

m 1Kr 15:27

n 1Kr 16:4, 6

o 1Kr 13:14

p 2Sa 6:4, 5
2Sa 6:12

Tweede kol.

a 2Sa 6:13

b 2Sa 6:14, 15

c 1Kr 13:8

d 1Kr 16:4, 6

e 2Sa 6:5

f 1Kr 17:1

g 1Sa 18:27
2Sa 3:13, 14

h 2Sa 6:16

HFST. 16

i 1Kn 8:1
1Kr 15:1

j 2Sa 6:17-19
1Kn 8:5

k Le 1:3

l Le 3:1

m Nu 18:2

n 1Kr 6:31, 39

o 1Kr 15:18

p 1Kr 15:21

q 1Kr 15:17, 19

offer.^a **27** Dawid het 'n moulose oorkleed van goeie materiaal aangehad. Al die Leviete wat die Ark gedra het, die sangers en Kenan'ja, die hoof van die drers en die sangers, het ook so 'n oorkleed gedra. Dawid het ook 'n linne-efod aangehad.^b **28** Al die Israeliete het die ark van die verbond van Jehovah met uitroep van vreugde^c na die stad gebring, en hulle het op die horing en trompette geblaas,^d simbale geslaan en op harpe en ander snaarinstrumente gespeel.^e

29 Maar toe die ark van die verbond van Jehovah by die Stad van Dawid aankom,^f het Saul se dogter Migal^g deur die venster afgekyk en gesien hoe koning Dawid rondhuppel en feesvier. En sy het hom in haar hart begin verag.^h

16 Toe het hulle die Ark van die ware God in die tent gesit wat Dawid daarvoor opgeslaan het,ⁱ en hulle het brandoffers en vrede-offers^j voor die ware God geoffer.^j **2** Nadat Dawid die brandoffers^k en die vrede-offers^l geoffer het, het hy die volk in die naam van Jehovah geseën. **3** En hy het aan al die Israeliete, aan elke man en vrou, 'n ronde brood, 'n dadelkoek en 'n rosynekoek gegee. **4** Toe het hy party van die Leviete aangestel om voor die Ark van Jehovah^m te dien en om Jehovah, die God van Israel, te eer,^{*} te dank en te loof. **5** Asafⁿ was die hoof, en Sagari'a was tweede in bevel. En Jeiel, Semi'ramot, Jehi'ël,^o Mattit'ja, Eli'ab, Bena'ja, Obed-Edom en Jeiel het op harpe en ander snaarinstrumente gespeel,^p en Asaf het die simbale geslaan.^q **6** En die priesters Bena'ja en Jaha'siël het heelyd voor die

16:1, 2 *Of "gemeenskapsoffers".
16:4 *Lett. "te onthou".

ark van die verbond van die ware God op die trompette geblaas.

7 Op daardie dag het Dawid vir die eerste keer vir Asaf^a en sy broers gesê om 'n danklied vir Jehovah te sing wat hy gekomponeer het:

8 "Dank Jehovah,^b roep sy naam aan!

Maak sy dade onder die volke bekend!^c

9 Sing vir hom, sing lofliedere* vir hom.^d

Dink na oor[#] al sy wonderlike werke.^e

10 Spog oor sy heilige naam.^f
Laat die hart van almal wat Jehovah dien,* bly wees.^g

11 Soek Jehovah^h en sy krag.
Soek altyd sy goedkeuring.ⁱ

12 Dink aan sy wonderlike dade,^j
sy wonderwerke en sy oordele,

13 o nageslag* van Israel, sy kneg,^k
o kinders van Jakob, dié wat hy uitgekies het.^l

14 Hy is Jehovah ons God.^m
Sy oordele geld vir die hele aarde.ⁿ

15 Dink vir ewig aan sy verbond.

Dink tot in 'n duisend geslagte aan die belofte wat hy gemaak het,*^o

16 die verbond wat hy met Abraham gemaak het,^p
en die eed wat hy aan Isak gesweer het.^q

17 Hy het dit as 'n bevel vir Jakob vasgestel,^r
en as 'n permanente verbond vir Israel,

16:9 *Of "maak musiek". [#]Of moontlik "Praat oor". **16:10** *Lett. "soek". **16:13** *Of "nakomeling". Lett. "saad". **16:15** *Lett. "aan die woord wat hy baie veel het".

HFST. 16

a 1Kr 6:31, 39

b Ps 106:1

c Ps 67:2

Ps 105:1-6

Jes 12:4

d 2Sa 23:1

Ef 5:19

e Ps 107:43

f Le 22:32

Jes 45:25

Jer 9:24

g 1Kr 28:9

Flp 4:4

h Am 5:4

Sef 2:3

i Ps 24:5, 6

j Ps 111:2-4

k Jes 41:8

l Ps 135:4

m Ps 95:7

n Ps 105:7-11

o De 7:9

p Ge 15:18

Ge 17:1, 2

q Ge 26:3-5

r Ge 28:14

Tweede kol.

a Ge 12:7

Ge 17:8

Ge 35:12

b De 32:8

c Ge 34:30

De 26:5

Ps 105:12-15

d Ge 20:1

Ge 46:6

e Ge 31:7, 42

f Ge 12:17

Ge 20:3

g Ge 20:7

h Ps 40:10

Ps 96:1-6

i Eks 15:11

j Jes 45:20

1Kor 8:4

k Jes 44:24

l De 33:26

Ps 8:1

m 1Ti 1:11

n Ps 68:34

Ps 96:7-13

o De 28:58

Ne 9:5

Ps 148:13

p 1Kr 29:3-5

Mt 5:23

18 toe hy gesê het: 'Ek sal vir jou die land Kanaän gee^a as jou erfdeel.'^b

19 Daar was toe min van julle, ja, baie min, en julle was uitlanders in die land.^c

20 Hulle het van nasie tot nasie getrek,
van een koninkryk na die ander.^d

21 Hy het nie toegelaat dat enigiemand hulle onderdruk nie,^e
maar ter wille van hulle het hy konings tereggewys^f

22 en gesê: 'Moenie aan my gesalfdes raak nie,
en moet niks slegs aan my profete doen nie.'^g

23 Sing vir Jehovah, almal op aarde!
Maak dag ná dag sy redding bekend!^h

24 Maak sy heerlikheid onder die nasies bekend,
sy wonderlike werke onder al die volke.

25 Want Jehovah is groot en verdien al die eer.
Hy is ontsagwekkender as al die ander gode.ⁱ

26 Al die gode van die volke is waardelose gode,^j
maar Jehovah is die Een wat die hemel gemaak het.^k

27 Hy is omring deur majesteit* en heerlikheid.^l
Krag en vreugde is in sy woonplek.^m

28 Gee Jehovah wat hy verdien, o families van die volke,
gee Jehovah wat hy verdien weens sy heerlikheid en krag.ⁿ

29 Gee Jehovah die eer wat sy naam verdien.^o
Bring 'n geskenk en kom na hom toe.^p

16:27 *Of "waardigheid".

- Buig voor Jehovah neer*
in heilige klere.^{#a}
- 30** Bewe voor hom, almal
op aarde!
Die aarde* is stewig gevestig.
Dit kan nie beweeg
word[#] nie.^b
- 31** Laat die hemel vreugdevol
wees, en laat die aarde
bly wees.^c
Verkondig onder die nasies:
'Jehovah het Koning
geword!^d
- 32** Laat die see en alles
daarin dreun.
Laat die veld en alles daarin
vreugdevol wees.
- 33** Laat die bome van die woud
ook van vreugde voor
Jehovah uitroep,
want hy kom* om die aarde
te oordeel.
- 34** Dank Jehovah, want
hy is goed.^e
Sy lojale liefde duur
vir ewig.^f
- 35** Sê vir hom: 'Red ons, o God
van ons redding.^g
Maak ons bymekaar en red
ons van die nasies,
sodat ons u heilige naam
kan prys^h
en u met vreugde kan loof.*ⁱ
- 36** Mag Jehovah, die God van
Israel, geloof word
tot in alle ewigheid."

En die hele volk het gesê:
"Amen!"* en het Jehovah gelooft.

37 Dawid het Asafⁱ en sy
broers toe by die ark van die
verbond van Jehovah agterge-
laat om gereeld voor die Ark
te dien,^k volgens die daaglik-
se roetine.^l **38** Obed-Edom en

16:29 *Of "Aanbid Jehovah". [#]Of
moontlik "as gevolg van die prag van
sy heiligheid". **16:30** *Of "vrugba-
re land". [#]Of "geskud word; wankel".
16:33 *Of "het gekom". **16:35** *Of
"vreugdevol kan wees in u lof". **16:36**
*Of "Laat dit so wees!"

HFST. 16

a De 26:10

b Ps 104:5
Pr 1:4

c Ps 97:1

d Op 19:6

e 2Kr 5:13
Lu 18:19f Ps 103:17
Jer 31:3
Klg 3:22

g Ps 68:20

h Ps 122:4

i Jes 43:21

j 1Kr 15:16, 17

k 1Kr 16:4-6

l Eks 29:38
2Kr 13:11
Esr 3:4

Tweede kol.

a 1Kr 12:28

b 1Kn 3:4

c Eks 29:39
2Kr 2:4

d 1Kr 25:1

e 1Kr 16:4

f 2Kr 5:13
Esr 3:11g 1Kr 6:31, 33
1Kr 15:16, 17

h 1Kr 25:1, 3

HFST. 17

i 1Kn 1:8
1Kr 29:29

j 1Kr 14:1

k 2Sa 7:1-3
1Kr 15:1
2Kr 1:4l 2Sa 7:4-7
1Kn 8:17-19
1Kr 22:7, 8

sy broers - altesaam 68 - en
Obed-Edom, die seun van Jedu-
tun, en Hosa was poortwagters.
39 En die priester Sadok^a en
die ander priesters was voor die
tabernakel van Jehovah op die
offerhoogte in Gi'beon^b **40** om
gereeld, in die oggend en in die
aand, brandoffers aan Jehovah
op die brandofferaltaar te offer
en om alles te doen wat geskryf
is in die Wet van Jehovah wat hy
aan Israel gegee het.^c **41** Saam
met hulle was Heman en Jedu-
tun^d en die res van die manne
wat by naam aangewys is om Je-
hovah te dank,^e want "sy lojale
liefde duur vir ewig".^f **42** He-
man^g en Jedu'tun het saam met
hulle musiek gemaak met die
trompette, simbale en die ander
instrumente wat gebruik is om
die ware God mee te prys.* En
die seuns van Jedu'tun^h was by
die poort. **43** Toe het die hele
volk na hulle huise toe gegaan,
en Dawid het almal in sy huis
gaan seën.

17 Nadat Dawid in sy paleis
ingetrek het, het hy vir
die profeet Natanⁱ gesê: "Hier
woon ek in 'n huis van seder-
hout,^j terwyl die ark van die
verbond van Jehovah in 'n tent
is."^k **2** Natan het vir Dawid ge-
sê: "Doen wat u hart u beweeg
om te doen, want die ware God
is met u."

3 Maar daardie selfde nag
het God vir Natan gesê:
4 "Gaan sê vir my kneg Dawid:
"Dit is wat Jehovah sê: "Jy sal
nie die een wees wat vir my 'n
huis bou om in te woon nie."
5 Van die dag af dat ek Israel
uit Egipte gebring het tot van-
dag toe, het ek nie in 'n huis ge-
woon nie, maar ek het van die
een tent na die ander getrek, en
van die een tabernakel na die

16:42 *Of "instrumente van die lied
van die ware God gespeel".

ander.^a **6** Het ek in al die tyd dat ek saam met al die Israeliete rondgetrek het, ooit vir enige van die rigters van Israel wat ek as 'n herder oor my volk aangestel het, gevra: 'Hoekom het julle nie vir my 'n huis van seerhout gebou nie?'"

7 "Sê vir my kneg Dawid: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Ek het jou uit die weiveld geneem, waar jy skape opgepas het, om 'n leier oor my volk Israel te word.^b **8** En ek sal met jou wees waar jy ook al gaan,^c en ek sal al jou vyande voor jou vernietig.^d Ek sal vir jou 'n groot naam maak, soos dié van die magtige manne van die aarde.^e **9** Ek sal vir my volk Israel 'n plek gee en hulle daar vestig, en hulle sal in vrede daar woon. En goddelose mense sal hulle nie weer onderdruk* soos hulle in die verlede gedoen het nie.^f **10** ja, van die dag af dat ek rigters oor my volk Israel aangestel het.^g En ek sal al jou vyande onderwerp.^h Ek sê vir jou: 'Jehovah sal vir jou 'n koningshuis gee.'

11 "“Wanneer jy sterf,^{*} sal ek jou nageslag,[#] een van jou seuns, koning maak ná jou,ⁱ en ek sal sy koningskap stewig vestig.^j **12** Hy is die een wat vir my 'n huis sal bou,^k en ek sal sy troon vir ewig stewig vestig.^l **13** Ek sal sy vader word, en hy sal my seun word.^m Ek sal nie my lojale liefde van hom af wegneemⁿ soos ek dit wegeneem het van die een wat voor jou regeer het nie.^o **14** Ek sal hom vir ewig op my troon laat sit,^p en sy koningskap sal vir ewig bestaan.””^q

17:5 *Betekén moontlik “van die een plek na die ander en van die een woonplek na die ander”. 17:9 *Lett. “uitput”. 17:11 *Lett. “by jou vaders neergelê word”. #Lett. “saad”.

HFST. 17

- a Eks 40:2
Nu 4:24, 25
2Sa 6:17
Ps 78:60
b 1Sa 16:11, 12
1Sa 17:15
1Sa 25:30
2Sa 7:8-11
Ps 78:70, 71
c 1Sa 18:14
2Sa 8:6
d 1Sa 25:29
1Sa 26:10
Ps 89:20, 22
e 1Sa 18:30
f Eks 2:23
g Rig 2:16
h Ps 18:40
i 1Ka 8:20
Ps 132:11
j 2Sa 7:12-17
1K 9:5
1K 28:5
Jer 23:5
k 1K 5:5
1K 22:10
l Ps 89:3, 4
Jes 9:7
Da 2:44
m 2Sa 7:14
Lu 9:35
Heb 1:5
n Jes 55:3
o 1Sa 15:24, 28
1K 10:13, 14
p Ps 89:36
Jer 33:20, 21
Lu 1:32, 33
Heb 1:8
Op 3:21
q Da 2:44
Joh 1:49
2Pe 1:11

Tweede kol.

- a 2Sa 7:8
2Sa 7:18-20
b Mt 22:42
Han 13:34
Op 22:16
c Ps 139:1
d 2Sa 7:21-24
e Eks 15:11
f Jes 43:10
g De 4:7
Ps 147:20
h Eks 19:5
Ps 77:15
i De 4:34
Ne 9:10
Jes 63:12
Ese 20:9
j De 7:1
Jos 10:42
Jos 21:44
k 1Sa 12:22
l Ge 17:7
De 7:6, 9
m 2Sa 7:25-29
n 2K 6:33
Ps 72:19
Mt 6:9
Joh 12:28
o Ps 89:35, 36

15 Natan het al hierdie woorde aan Dawid oorgedra en hom van hierdie hele visioen vertel.

16 Toe het koning Dawid voor Jehovah gaan sit en gesê: “O Jehovah God, wie is ek en wat is my huis dat u my so ver gebring het?” **17** En asof dit nie genoeg is nie, o God, sê u ook nog dat die huis van u kneg tot in die verre toekoms sal bly bestaan,^b en u beskou my as 'n man wat nog meer verheerlik moet word,^{*} o Jehovah God. **18** Wat kan u kneg Dawid nog vir u sê oor die eer wat ek ontvang het? Want u ken my so goed.^c **19** O Jehovah, ter wille van u kneg en omdat dit u wil is, het u al hierdie groot dinge gedoen en u grootheid geopenbaar.^d **20** O Jehovah, daar is niemand soos u nie,^e en daar is geen God behalwe u nie.^f Alles wat ons gehoor het, bevestig dit. **21** En watter ander nasie op die aarde is soos u volk Israel?^g Die ware God het hulle gaan bevry en hulle sy volk gemaak.^h U het 'n groot naam vir self gemaak deur groot en ontsagwekkende dinge te doenⁱ en deur nasies uit te dryf voor u volk,^j wat u uit Egipte bevry het. **22** U het u volk Israel vir altyd u volk gemaak,^k en u, o Jehovah, het hulle God geword.^l **23** En nou, o Jehovah, mag die belofte wat u oor u kneg en oor sy huis gemaak het, vir altyd betroubaar wees, en mag u doen net soos u belowe het.^m **24** Mag u naam vir ewig bestaan* en verheerlik word,ⁿ sodat mense kan sê: 'Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, is God vir Israel,' en mag die huis van u kneg Dawid stewig gevestig wees voor u.^o

17:17 *Of “'n man van hoë rang”. 17:24 *Of “betroubaar wees”.

25 Want u, my God, het aan u kneg geopenbaar dat u vir my 'n koningshuis gaan gee. Daarom het u kneg die vrymoedigheid om hierdie gebed tot u te rig. 26 En nou, o Jehovah, u is die ware God, en u het hierdie goeie dinge aan u kneg belowe. 27 Seën dus asseblief die huis van u kneg, en mag dit vir ewig voor u bestaan, want u, o Jehovah, het dit geseën, en dit is vir ewig geseënd."

18 Later het Dawid die Filistyne verslaan en hulle onderwerp, en hy het Gat^a en sy afhanklike* dorpe by die Filistyne afgevat.^b 2 Toe het hy Moab verslaan,^c en die Moabiete het Dawid se knegte geword en het skatting* betaal.^d

3 Dawid het koning Hadade'ser^e van Soba^f naby Hamat^g verslaan toe Hadade'ser op pad was om beheer te verkry oor die gebied by die Eufraatrivier.^h 4 Dawid het 1000 strydwagens by hom afgevat, en hy het 7000 van sy perderuiters en 20000 van sy voetsoldate gevange geneem.ⁱ Toe het Dawid die hakskeensening van al die strydwapers afgesny, maar hy het 100 van die perde laat oorbly.^j

5 Die Siriërs van Damaskus het koning Hadade'ser van Soba kom help, en Dawid het 22000 van die Siriërs doodgemaak.^k

6 Dawid het toe groepe soldate in Sirië van Damaskus gestasioneer, en die Siriërs het Dawid se knegte geword en het skatting* betaal. Waar Dawid ook al gegaan het, het Jehovah hom die oorwinning* gegee.^l 7 Dawid het ook die ronde skilde van goud van die knegte van Hadade'ser na Jerusalem gebring.

8 Dawid het baie koper geneem uit Tibhat en Kun, stede van Ha-

HFST. 18

- a 1Sa 5:8
- 2Sa 1:20
- b 2Sa 8:1
- c Nu 24:17
- Ps 60:8
- d 2Sa 8:2
- 2Kl 3:4
- e 1Kn 11:23
- f 1Sa 14:47
- 2Sa 10:6
- Ps 60:Ops
- g 2Kr 8:3
- h Ge 15:18
- Eks 23:31
- 2Sa 8:3, 4
- i Ps 20:7
- j De 17:16
- Ps 33:17
- k 2Sa 8:5-8
- l 1Kr 17:8

Tweede kol.

- a 1Kn 7:23
- b 1Kn 7:15, 45
- c 2Sa 8:9-11
- d 2Sa 8:3
- e Jos 6:19
- 2Kr 5:1
- f 1Kr 20:1
- g 2Sa 5:25
- h 1Sa 27:8, 9
- 1Sa 30:18, 20
- i 1Sa 26:6
- 2Sa 3:30
- 2Sa 10:10
- 2Sa 20:6
- 2Sa 21:17
- j 1Kr 2:15, 16
- k 2Sa 8:13, 14
- l Ge 25:23
- Ge 27:40
- m Ps 18:48
- Ps 144:10
- n 1Kn 2:11
- o 2Sa 8:15-18
- 2Sa 23:3, 4
- Ps 78:70-72
- p 1Kr 11:6
- q 1Kn 4:3
- r 1Sa 30:14
- Sef 2:5
- s 1Kn 1:38

HFST. 19

- t 2Sa 10:1-5
- u 2Sa 9:7

dade'ser. Salomo het dit gebruik om die Kopersee,^a die pilare en die kopervoorwerpe^b te maak.

9 Toe koning Toû van Hamat hoor dat Dawid die hele leërmag van koning Hadade'ser van Soba^c verslaan het,^d 10 het hy onmiddellik sy seun Hado'ram na koning Dawid toe gestuur om sy groete oor te dra en hom geluk te wens omdat hy Hadade'ser verslaan het (want Hadade'ser het dikwels teen Toû geveg). Hy het allerhande voorwerpe van goud, silwer en koper saamgebring. 11 Koning Dawid het dit vir Jehovah geheilig,^e net soos hy gedoen het met die silwer en die goud wat hy geneem het van al die nasies: van Edom, Moab, die Ammoniete,^f die Filistyne^g en die Amalekiete.^h

12 Abi'sai,ⁱ die seun van Seru'ja,^j het 18000 Edomiete in die Soutvallei doodgemaak.^k 13 Hy het groepe soldate in Edom gestasioneer, en al die Edomiete het Dawid se knegte geword.^l Waar Dawid ook al gegaan het, het Jehovah hom die oorwinning* gegee.^m

14 Dawid het oor die hele Israel bly regeer,ⁿ en hy was 'n regverdige regter vir sy hele volk.^o

15 Joab, die seun van Seru'ja, was oor die leërmag,^p Jo'safat,^q die seun van Ahi'lud, was die geskiedskrywer, 16 Sadok, die seun van Ahi'tub, en Ahime'leg, die seun van Abja'tar, was priesters, en Sausa was die sekretaris. 17 Bena'ja, die seun van Joja'da, was oor die Keretiete^r en die Peletiete.^s En Dawid se seuns was die hoofamptenare van die koning.

19 Later het Nahas, die koning van die Ammoniete, gesterf, en sy seun het in sy plek koning geword.^t 2 Toe het Dawid gesê: "Ek sal lojale liefde^u aan Hanun, die seun van

18:1 *Of "omliggende". 18:2, 6 *Sien Woordelys. 18:6, 13 #Of "redding".

Nahas, betoon omdat sy pa lojale liefde aan my betoon het." Daarom het Dawid boodskappers gestuur om Hanun ná sy pa se dood te vertroos. Maar toe Dawid se knegte in die land van die Ammoniete^a kom om Hanun te vertroos, **3** het die leiers van die Ammoniete vir Hanun gevra: "Dink u dat Dawid vertroosters na u toe stuur om u pa te eer? Is dit nie om die land deeglik te deursoek en te verwoes en te verken dat sy knegte na u toe gekom het nie?" **4** Hanun het Dawid se knegte toe geneem en hulle baarde afgeskeer^b en hulle klere by die heupe afgesny en hulle weggestuur. **5** Toe Dawid hoor wat met die manne gebeur het, het hy dadelik ander manne na hulle toe gestuur omdat die manne baie verneder gevoel het. En die koning het vir hulle gesê: "Bly in Jerigo^c totdat julle baarde teruggroei, en dan moet julle terugkom."

6 Met verloop van tyd het die Ammoniete besef dat Dawid hulle begin haat het, en daarom het Hanun en die Ammoniete manne met 1000 talente* silwer gestuur om strydwaens en perderuiters uit Mesopotamië,[#] A'ram-Ma'äga en Soba te huur.^d **7** Hulle het 32000 strydwaens gehuur, sowel as die koning van Ma'äga en sy manne. Die koning van Ma'äga en sy manne het voor Mede'ba^e kamp opgeslaan, en die Ammoniete het uit hulle stede uitgegaan om oorlog te voer.

8 Toe Dawid hiervan hoor, het hy Joab^f en die hele leërmag, insluitende sy magtigste vegters, gestuur.^g **9** En die Ammoniete het in gevegsforma-

HFST. 19

a Ge 19:36, 38

b Le 19:27

c 1Kn 16:34

d 1Sa 14:47

2Sa 8:3

2Sa 10:6

e Jos 13:8, 9

f 2Sa 8:16

g 2Sa 10:7, 8

2Sa 23:8

Tweede kol.

a 2Sa 10:9-12

b 1Kr 11:20, 21

c 2Sa 8:5

d De 31:6

Jos 1:9

e Le 26:7, 8

De 28:7

2Sa 10:13, 14

f 2Sa 10:15, 16

g 2Sa 8:3

sie by die ingang van die stad gaan staan, terwyl die konings wat gekom het, eenkant in die oop veld was.

10 Toe Joab sien dat hy van voor en van agter aangeval word, het hy van die beste soldate in Israel gekies en hulle in gevegsformasie laat staan om teen die Siriërs te veg.^a

11 Hy het die res van die manne onder die bevel* van sy broer Abi'sai^b geplaas sodat hulle in gevegsformasie teen die Ammoniete kon gaan veg. **12** Toe het hy gesê: "As die Siriërs^c vir my te sterk word, dan moet jy my kom red, maar as die Ammoniete vir jou te sterk word, sal ek jou kom red. **13** Ons moet sterk en moedig wees^d ter wille van ons volk en die stede van ons God, en Jehovah sal doen wat goed is in sy oë."

14 Joab en sy manne het teen die Siriërs gaan veg, en hulle het voor hom gevlug.^e

15 Toe die Ammoniete sien dat die Siriërs gevlug het, het hulle ook van sy broer Abi'sai af gevlug en in die stad ingegaan. Daarna het Joab na Jerusalem gegaan.

16 Toe die Siriërs sien dat Israel hulle verslaan het, het hulle boodskappers onder die leiding van Sofag, die hoof van Hada-de'ser se leërmag,^f uitgestuur om die Siriërs wat in die streek van die Rivier*^g was, te gaan roep.

17 Toe Dawid hiervan hoor, het hy onmiddellik die hele Israel bymekaar laat kom en deur die Jordaanrivier getrek, en hulle het na die Siriërs toe gegaan en in gevegsformasie gaan staan. Dawid het hulle in gevegsformasie teen die Siriërs laat optrek, en die Siriërs het

19:11 *Let. "in die hand". **19:16** *Die Eufraatrivier.

19:6 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. [#]Let. "Aram-Naharaim".

teen hom geveg.^a **18** Maar die Siriërs het voor Israel gevlug. Dawid het 7 000 van die Siriërs se strydswadrywers en 40 000 van hulle voetsoldate doodgemaak, en hy het Sofag, die hoof van die leërmag, doodgemaak. **19** Toe die knegte van Hadadê-ser sien dat Israel hulle verslaan het,^b het hulle dadelik met Dawid vrede gemaak en sy onderdane geword.^c En van toe af wou Sirië die Ammoniete nie meer help nie.

20 Aan die begin van die jaar,* die tyd wanneer konings uitgaan om oorlog te voer, het Joab^d die leërmag gelei en teen die Ammoniete gaan veg en hulle land verwoes. Hy het Rabba^e beleër, terwyl Dawid in Jerusalem gebly het.^f Joab het Rabba aangeval en dit afgebreek.^g **2** Toe het Dawid die kroon van Malkam se kop afgehaal. Dit was van een talent* goud gemaak en met edelstene versier. Die kroon is toe op Dawid se kop gesit. Hy het ook baie buit uit die stad geneem.^h **3** Hy het die mense van die stad gevange geneem, en hy het hulle klippe laat saag en hulle met skerp ystergereedskap en byle laat werk.ⁱ Dit is wat Dawid met al die stede van die Ammoniete gedoen het. Uiteindelik het Dawid en al die soldate na Jerusalem teruggekeer.

4 Daarna het daar oorlog teen die Filistyne uitbreek in Geser. Toe is Sippai, 'n nakomeling van die Refaïete,^j deur Sib'begai,^k die Husatiet, doodgemaak, en die Filistyne is verslaan.

5 En daar het weer oorlog teen die Filistyne uitbreek, en

20:1 *D.w.s. in die lente. 20:2 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 19

a 2Sa 10:17-19

b Ps 18:39

c 1Kr 14:17
Ps 18:44

HFST. 20

d 1Kr 11:6

e De 3:11

f 2Sa 11:1

g 2Sa 12:26

h 2Sa 8:11, 12
2Sa 12:30, 31

i 1Kn 9:20, 21

j De 3:13

k 2Sa 21:18
1Kr 11:26, 29

Tweede kol.

a 1Sa 17:4, 7
1Sa 21:9b 2Sa 21:19
1Kr 11:23, 24c Jos 11:22
1Sa 7:14d Nu 13:33
De 2:10
De 3:11e 2Sa 21:16
2Sa 21:20-22f 1Sa 17:10
2Kn 19:22

g 1Kr 2:13

h De 2:11

i 1Sa 17:4

HFST. 21

j 2Sa 24:1-3

k 2Sa 8:16

l Rig 18:29
2Sa 17:11

m 2Sa 24:4, 8

n 2Sa 24:9

o Nu 1:47

p 1Kr 27:23, 24

Elha'nan, die seun van Jaïr, het Lagmi, die broer van Go'liat,^a die Gittiet, doodgemaak. Die steel van Lagmi se spies was so groot soos die balk van 'n weefraam.^b

6 Oorlog het weer uitgebreek in Gat,^c waar daar 'n man was wat buitengewoon groot was,^d met 6 vingers aan elke hand en 6 tone aan elke voet, altesaam 24. Hy was ook 'n nakomeling van die Refaïete.^e **7** Hy het Israel bly uittart,^f en Jo'natan, die seun van Dawid se broer Si'mea,^g het hom doodgemaak.

8 Hulle was nakomelinge van die Refaïete^h in Gat,ⁱ en hulle is deur Dawid en sy knegte doodgemaak.

21 Toe het Satan* teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel.^j **2** Dawid het toe vir Joab^k en die hoofde van die volk gesê: "Gaan tel Israel, van Berse'ba tot Dan,^l en kom sê vir my hoeveel mense daar is." **3** Maar Joab het gesê: "Mag Jehovah sy volk 100 keer groter maak! Is hulle nie almal u knegte nie, my heer die koning? Hoekom wil my heer dit doen? Hoekom wil u skuld oor Israel bring?"

4 Maar die koning het geweier om na Joab te luister, en daarom het Joab gegaan en deur die hele Israel gereis. Daarna het hy na Jerusalem teruggegaan.^m **5** Joab het toe vir Dawid die getal gegee van almal wat geregistreer is. In Israel was daar 1 100 000 manne met swaarde, en in Juda was daar 470 000 manne met swaarde.ⁿ **6** Maar Levi en Benjamin is nie geregistreer nie,^o want die koning se opdrag was vir Joab afskuwelik.^p

21:1 *Of moontlik "'n teenstander".

7 En hierdie saak was sleg in die oë van die ware God, en daarom het hy Israel gestraf.

8 Toe het Dawid vir die ware God gesê: “Ek het ’n baie groot sonde gepleeg,^a Vergewe nou asseblief u kneg se oortreding,^b want ek het baie onverstandig opgetree.”^c 9 Jehovah het toe vir Gad,^d Dawid se siener, gesê: 10 “Gaan sê vir Dawid: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Ek gee jou drie opsies. Kies die een wat ek oor jou moet bring.”’” 11 Toe het Gad na Dawid gegaan en vir hom gesê: “Dit is wat Jehovah sê: ‘Ek gee jou ’n keuse: 12 Moet daar drie jaar lank hongersnood^e wees of moet jy drie maande lank deur jou vyande verslaan word terwyl die swaard van jou vyande jou inhaal^f of moet die swaard van Jehovah – ’n vreeslike siekte^g – drie dae lank oor die land kom, waartydens Jehovah se engel vernietiging^h in die hele gebied van Israel bring?’” Dink nou mooi na oor watter antwoord ek vir die Een moet gee wat my gestuur het.” 13 Toe het Dawid vir Gad gesê: “Ek weet nie watter kant toe nie. Laat my asseblief in Jehovah se hande val, want hy is baie genadig,ⁱ maar moenie dat ek in mense se hande val nie.”^j

14 Toe het Jehovah Israel met ’n vreeslike siekte^k getref, en 70 000 mense van Israel het gesterf.^l 15 Die ware God het ook ’n engel na Jerusalem gestuur om dit te verwoes, maar toe Jehovah sien dat die engel dit begin doen, het hy jammer gevoel vir sy volk,^m en hy het vir die engel wat verwoesting gebring het, gesê: “Dit is genoeg!ⁿ Laat jou hand sak.” Jeho-

21:15 *Of “het hy spyt gevoel oor die rampspoed”.

HFST. 21

a 2Sa 12:13

b Ps 25:11

Ps 51:1

c 2Sa 24:10-14

d 1Kr 29:29

e Le 26:26

f Le 26:14, 17

g Le 26:25

h 2Kn 19:35

i Eks 34:6

Ps 51:1

Jes 55:7

Klg 3:22

j 2Kr 28:9

k Nu 16:46

l 2Sa 24:15, 16

m Eks 32:14

De 32:36

n Ps 90:13

o Ps 90:13

p Ps 90:13

q Ps 90:13

r Ps 90:13

s Ps 90:13

t Ps 90:13

u Ps 90:13

v Ps 90:13

w Ps 90:13

x Ps 90:13

y Ps 90:13

z Ps 90:13

aa Ps 90:13

ab Ps 90:13

ac Ps 90:13

ad Ps 90:13

ae Ps 90:13

af Ps 90:13

ag Ps 90:13

ah Ps 90:13

ai Ps 90:13

aj Ps 90:13

ak Ps 90:13

al Ps 90:13

am Ps 90:13

an Ps 90:13

ao Ps 90:13

ap Ps 90:13

aq Ps 90:13

ar Ps 90:13

as Ps 90:13

at Ps 90:13

au Ps 90:13

av Ps 90:13

aw Ps 90:13

vah se engel was naby die dorsvloer van Ornan,^a die Jebusiet.^b

16 Toe Dawid opkyk, het hy Jehovah se engel tussen die aarde en die hemel sien staan met ’n swaard^c in sy hand wat na Jerusalem uitgestrek was. Dawid en die ouermanne, wat saklinne^d aangehad het, het dadelik neergeval met hulle gesigte na die grond toe.^e 17 Dawid het vir die ware God gevra: “Was dit nie ek wat gesê het dat die volk getel moet word nie? Ek is die een wat gesondig het, en ek is die een wat verkeerd opgetree het.^f Maar wat het hierdie skape gedoen? O Jehovah my God, laat u hand asseblief teen my en die huis van my vader kom, maar moenie hierdie plaag oor u volk bring nie.”^g

18 Jehovah se engel het toe vir Gad^h gesê om vir Dawid te sê dat hy na die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, moet gaan en daar vir Jehovah ’n altaar moet oprig.ⁱ 19 Dawid het soontoe gegaan, net soos Jehovah vir hom deur middel van Gad gesê het. 20 Intussen het Ornan omgedraai en die engel gesien. En sy vier seuns wat by hom was, het weggekruip. Ornan was besig om koring te dors. 21 Toe Ornan Dawid sien aankom, het hy dadelik van die dorsvloer af uitgegaan en voor Dawid neergebuig met sy gesig na die grond toe. 22 Dawid het vir Ornan gesê: “Verkoop* die stuk grond aan my waarop die dorsvloer is, sodat ek vir Jehovah ’n altaar daarop kan bou. Verkoop dit aan my vir die volle waarde daarvan, sodat die plaag onder die mense kan ophou.”^j 23 Maar Ornan het vir Dawid gesê: “Neem dit vir u, en doen wat u goeddink, my heer die koning. Hier is die beste

21:22 * Lett. “Gee”.

vir brandoffers, die dorslee^a wat as hout gebruik kan word en koring vir 'n graanoffer. Ek gee dit alles.”

24 Maar koning Dawid het vir Ornan gesê: “Nee, ek moet dit vir die volle bedrag koop, want ek sal nie jou goed neem en dit vir Jehovah gee of brandoffers offer wat my niks kos nie.”^b **25** Dawid het toe vir Ornan 600 sikkels* goud vir die stuk grond gegee. **26** En Dawid het daar vir Jehovah 'n altaar gebou^c en brandoffers en vrede-offers* geoffer. Hy het Jehovah aangeroep, wat hom toe geantwoord het met vuur^d uit die hemel, wat die offers op die altaar verbrand het. **27** Toe het Jehovah die engel^e beveel om sy swaard in sy skede terug te sit. **28** Toe Dawid sien dat Jehovah hom op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, geantwoord het, het hy aangehou om offerandes daar te offer. **29** Op daardie tyd was die tabernakel van Jehovah wat Moses in die wildernis gemaak het en die brandofferaltaar op die offerhoogte in Gibeon.^f **30** Maar Dawid kon nie daarheen gaan om God vir leiding te vra nie, want hy was baie bang vir die swaard van Jehovah se engel.

22 Dawid het toe gesê: “Dit is die plek vir die huis van Jehovah, die ware God, en dit is 'n brandofferaltaar vir Israel.”^g

2 Dawid het toe beveel dat die uitlanders^h wat in Israel woon, bymekaar moet kom. Hy het hulle as klipkappers aangesel om die klippe te kap wat gebruik sou word om die huis van die ware God te bou.ⁱ **3** Dawid het ook baie yster voorsien vir

21:25 *'n Sikkels was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. 21:26 *Of “gemeenskapsoffers”.

HFST. 21

- a Jes 28:27
- b 2Sa 24:24, 25
- c Eks 20:25
- d Le 9:23, 24
1Kn 18:38
2Kr 7:1
- e 2Sa 24:16
Ps 103:20
- f 1Kn 3:4
1Kr 16:39
2Kr 1:3

HFST. 22

- g De 12:5, 6
2Sa 24:18
2Kr 3:1
- h 1Kn 9:20, 21
2Kr 2:17, 18
- i 1Kn 5:15, 17
1Kn 6:7
1Kn 7:9

Tweede kol.

- a 1Kn 7:47
- b 2Sa 5:11
- c 1Kn 5:6, 8
- d 2Kr 2:3
- e 1Kn 3:7
- f 2Kr 2:5
Hag 2:3
- g Ps 68:29
- h De 12:5, 6
2Sa 7:2
Ps 132:3-5
- i 1Kr 17:4
- j 1Kr 28:5
- k 2Sa 7:12, 13
1Kn 4:25
1Kn 5:4
- l 2Sa 12:24
- m Ps 72:7
- n 1Kn 5:5
- o 2Sa 7:14
Heb 1:5
- p 1Kr 17:12-14
Ps 89:35, 36
- q 1Kr 28:20

die spykers van die poortdeure en vir die klampe, sowel as koper, wat te veel was om geveeg te word.^a **4** En 'n ontelbare hoeveelheid sederhout,^b want die Sidoniërs^c en die Tiriërs^d het baie sederhout vir Dawid gebring. **5** En Dawid het gesê: “My seun Salomo is jonk en onervare,^e en die huis wat vir Jehovah gebou moet word, moet so pragtig en indrukwekkend wees^f dat al die lande daarvan sal hoor.^g Daarom sal ek vir hom voorbereidings tref.” Dawid het dus baie boumateriaal voor sy dood bymekaargemaak.

6 En hy het sy seun Salomo laat roep en vir hom gesê dat hy 'n huis vir Jehovah, die God van Israel, moet bou. **7** Dawid het vir sy seun Salomo gesê: “Dit was my hartsbegeerte om 'n huis vir die naam van Jehovah my God te bou.^h **8** Maar Jehovah het vir my gesê: ‘Jy het baie mense doodgemaak, en jy het groot oorloë gevoer. Jy sal nie 'n huis vir my naam bou nie,ⁱ want jy het baie mense voor my op die aarde doodgemaak. **9** Jy sal 'n seun hê,^j en hy sal 'n man van vrede* wees. Ek sal hom rus gee van al sy vyande om hom.^k Daarom sal sy naam Salomo^l wees, en in sy dae sal ek Israel rus en vrede gee.^m **10** Hy is die een wat 'n huis vir my naam sal bou.ⁿ Hy sal my seun word, en ek sal sy vader word.^o Ek sal sorg dat die troon van sy koningskap vir ewig oor Israel stewig gevestig word.^p

11 “Mag Jehovah met jou wees, my seun, en mag jy suksesvol wees en die huis van Jehovah jou God bou, net soos hy gesê het jy sal doen.^q **12** Mag

22:9 *Lett. “rus”. ^aVan 'n Hebreeuse woord wat “vrede” beteken.

Jehovah jou goeie oordeel en begrip gee^a wanneer hy jou oor Israel aanstel, sodat jy die wet van Jehovah jou God kan gehoorsaam.^b **13** As jy die wetsvoorskrifte^c en die oordele streng gehoorsaam wat Jehovah Moses beveel het om aan Israel te gee,^d dan sal jy suksesvol wees. Wees moedig en sterk. Moenie bang wees of vrees nie.^e **14** Ek het baie moeite gedoen om voorbereidings te tref vir die huis van Jehovah. Ek het 100 000 talente* goud bymekaargemaak, sowel as 1 000 000 talente silwer en soveel koper en yster^f dat dit nie geweeg kan word nie, en ek het ook hout en klippe^g bymekaargemaak, maar jy sal nog daarby voeg. **15** Jy het baie werkers: klippappers, klippesselaars,^h houtwerkers en allerhande ambagsmanne.ⁱ **16** En daar is soveel goud, silwer, koper en yster dat dit nie geweeg kan word nie.^j Begin met die werk, en mag Jehovah met jou wees.^k

17 Dawid het toe al die leiers van Israel beveel om sy seun Salomo te help, en hy het gesê: **18** "Is Jehovah julle God nie met julle nie, en het hy julle nie rus gegee van al julle vyande om julle nie? Hy het die inwoners van die land aan my oorgegee, en hulle is nou onderdanig van Jehovah en sy volk. **19** Daarom moet julle Jehovah julle God met julle hele hart en siel* dien.^m Begin met die bouwerk van die heiligdom van Jehovah, die ware God,ⁿ sodat julle die ark van die verbond van Jehovah en die heilige voorwerpe van die ware Godⁿ kan bring na die huis wat vir die naam van Jehovah^o gebou sal word."

22:14 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanb. B14. 22:19 *Sien Woordeslys. "Lett. "soek".

HFST. 22

- a 2Kr 1:10
Ps 72:1
b De 4:6
c Le 19:37
1Kr 28:7
d De 12:1
De 17:18, 19
Jos 1:8
1Kn 2:3
1Kr 28:7
Ps 19:8, 11
e Jos 1:6, 9
1Kr 28:20
f 1Kr 29:6, 7
g 1Kr 29:2-4
h 1Kn 5:17
1Kn 6:7
1Kn 7:9
i 1Kn 7:13, 14
j 1Kr 22:3
k 2Kr 1:1
l De 4:29
2Kr 20:3
Da 9:3
m 1Kn 6:1
n 1Kn 8:6, 21
o De 12:21
1Kn 8:29
1Kn 9:3

Tweede kol.

HFST. 23

- a 1Kn 1:33, 39
1Kr 28:5
b Eks 29:8, 9
c Nu 3:6
d Nu 4:2, 3
e De 16:18
1Kr 26:29
2Kr 19:8
f 1Kr 26:12
g 1Kr 6:31, 32
h 2Kr 8:14
2Kr 31:2
i Eks 6:16
j 1Kr 26:21, 22
k Eks 6:21
l Eks 6:18
m Eks 4:14
n Eks 6:20, 26
o Eks 28:1
p Le 9:22
Nu 6:23-27
De 21:5
q Eks 2:21, 22
r Eks 18:3, 4
s 1Kr 26:24

23 Toe Dawid oud was en nie meer lank gehad het om te lewe nie, het hy sy seun Salomo koning oor Israel gemaak.^a **2** En hy het al die leiers van Israel, die priesters^b en die Leviete^c bymekaar laat kom. **3** Die Levitiese mans wat 30 jaar en ouer was, is getel,^d en hulle was altesaam 38 000. **4** Van hulle het 24 000 oor die werk by die huis van Jehovah toesig gehou. Daar was 6 000 beampptes en regters^e **5** en 4 000 poortwagters^f en 4 000 wat Jehovah geloof het^g met die musiekinstrumente wat Dawid gemaak het om God mee te loof.

6 Toe het Dawid hulle in afdelings ingedeel^h volgens die seuns van Levi: Gerson, Kehat en Mera'ri.ⁱ **7** Van die Gersoniete: Ladan en Si'meï. **8** Ladan het drie seuns gehad: Jehi'ël, die hoofman, Setam en Joël.^j **9** Si'meï het drie seuns gehad: Selo'mot, Hasi'ël en Haran. Hulle was die hoofde van die vaderhuise van Ladan. **10** Si'meï het vier seuns gehad: Jahat, Sina, Jeüs en Beri'a. **11** Jahat was die hoof en Sisa was tweede. Maar omdat Jeüs en Beri'a nie baie seuns gehad het nie, is hulle beskou as een vaderhuis met dieselfde verantwoordelikhede.

12 Kehat het vier seuns gehad: Amram, Jishar,^k He'bron en Us'siël.^l **13** Die seuns van Amram was Aäron^m en Moses.ⁿ Maar Aäron en sy seuns is vir altyd afgesonder^o om die Allerheiligste te heilig, om offerandes voor Jehovah te offer, om hom te dien en om mense altyd in sy naam te seën.^p **14** Die seuns van Moses, die man van die ware God, is ingesluit by die stam van die Leviete. **15** Die seuns van Moses was Gersom^q en Eliëser.^r **16** Se'buel^s was die hoof van

die seuns van Gersom. **17** Rehab'ja^a was die hoof van die nakomelinge* van Eliëser. Eliëser het nie ander seuns gehad nie, maar Rehab'ja het baie seuns gehad. **18** Se'lomit^b was die hoofman van die seuns van Jis-har.^c **19** Die seuns van He'bron was Jeri'a, die hoof, Amar'ja, die tweede, Jaha'siël, die derde, en Jeka'meam,^d die vierde. **20** Die seuns van Us'siël^e was Miga, die hoof, en Jissi'a, die tweede.

21 Die seuns van Mera'ri was Magli en Musi.^f Die seuns van Magli was Elea'sar en Kis. **22** Elea'sar het gesterf, maar hy het nie seuns gehad nie, net dogters. Daarom het die seuns van Kis, hulle familieledede,* hulle as vrouens geneem. **23** Musi het drie seuns gehad: Magli, Eder en Je'remot.

24 Dit was die seuns van Levi wat geregistreer is volgens hulle vaderhuise en volgens die hoofde van die vaderhuise. Die Leviete wat 20 jaar en ouer was, is getel, en hulle name is op die lys geskryf vir die diens by die huis van Jehovah. **25** Want Dawid het gesê: "Jehovah, die God van Israel, het sy volk vrede gegee,^g en hy sal vir ewig in Jerusalem woon.^h **26** En die Leviete sal nie die tabernakel of enige van die toerusting vir sy diens hoef te dra nie."ⁱ **27** Die Leviete wat 20 jaar en ouer was, is toe getel, volgens Dawid se laaste instruksies. **28** Hulle moes die seuns van Aäron help^j met die werk by die huis van Jehovah. Hulle moes ook toesig hou oor die voorhowe,^k die eetkamers, die reiniging van elke heilige ding en oor enige ander werk wat gedoen moes word by die huis van

23:17 *Let. "seuns". 23:22 *Let. "broers".

HFST. 23

a 1Kr 26:25

b 1Kr 24:20, 22

c Nu 3:27

d 1Kr 24:20, 23

e Eks 6:22

f Eks 6:19

g 2Sa 7:1

h 1Kn 8:12, 13
Ps 135:21

i Nu 4:15

j Nu 3:9

k 1Kn 6:36

Tweede kol.

a Le 24:5, 6
1Kr 9:32

b Eks 29:1, 2
Le 2:4

c Le 7:12

d Eks 29:39

e 1Kr 16:4, 37

f Eks 20:10

g Nu 10:10
Ps 81:3

h De 16:16

HFST. 24

i Le 10:1

j Eks 6:23
Eks 28:1

k Nu 26:61

l Nu 16:39, 40

m 2Sa 8:17

die ware God. **29** Hulle het gehelp met die voorbereiding van die stapelbrode,^a die fynmeel vir die graanoffer, die ongesuurde platbrode,^b die bakplaatbrode en die gemengde deeg.^c Hulle was ook verantwoordelik vir al die gewigte en mate. **30** Hulle moes elke oggend en aand^d voor Jehovah gaan staan om hom te dank en te loof.^e **31** Hulle het gehelp wanneer die brandoffers aan Jehovah geoffer is op die Sabbatte,^f die nuwemane^g en gedurende die feestye,^h volgens wat in die Wet geskryf is, en hulle het dit gereeld voor Jehovah gedoen. **32** Hulle het ook hulle verantwoordelikhede nagekom in verband met die tent van samekoms en in verband met die heiligdom. En hulle het hulle broers, die seuns van Aäron, gehelp met die werk by die huis van Jehovah.

24 Die nakomelinge van Aäron was in afdelings ingedeel. Die seuns van Aäron was: Nadab, Abi'hu,ⁱ Elea'sar en I'tamar.^j **2** Nadab en Abi'hu het gesterf voordat hulle pa gesterf het,^k en hulle het geen seuns gehad nie, maar Elea'sar^l en I'tamar het aangehou om as priesters te dien. **3** Dawid, Sadok^m en Ahime'leg het hulle in afdelings ingedeel vir hulle dienstoewysings. Sadok was 'n nakomeling van Elea'sar, en Ahime'leg was 'n nakomeling van I'tamar. **4** Die seuns* van Elea'sar het meer hoofmanne as die seuns van I'tamar gehad, en daarom is hulle soos volg ingedeel: Die seuns van Elea'sar het 16 hoofde van hulle vaderhuise gehad, en die seuns van I'tamar het 8 hoofde van hulle vaderhuise gehad.

23:29 *D.w.s. die offerbrode. 24:4 *In Hebreeus kan die woord "seun" ook "kleinseun" of "nakomeling" beteken.

5 En hulle het die seuns van Elea'sar en die seuns van I'tamar deur middel van die lot^a ingedeel, want daar was hoofde van die heiligdom en hoofde van die ware God in al twee groepe. 6 Sema'ja, die seun van Neta'nel, die sekretaris van die Leviete, het hulle name neergeskryf voor die koning, die leiers, die priester Sadok,^b Ahime'leg,^c die seun van Abja'tar,^d en die hoofde van die vaderhuise van die priesters en van die Leviete. Elke keer is daar deur middel van die lot een vaderhuis vir Elea'sar gekies en een vir I'tamar.

7 Die eerste lot was vir Joja'rib, die tweede vir Jeda'ja, 8 die derde vir Harim, die vierde vir Seo'rim, 9 die vyfde vir Malki'a, die sesde vir Mija'min, 10 die sewende vir Hakkos, die agtste vir Abi'a,^e 11 die negende vir Je'sua, die tiende vir Segan'ja, 12 die 11de vir Elja'sib, die 12de vir Jakim, 13 die 13de vir Huppa, die 14de vir Jesse'beab, 14 die 15de vir Bilga, die 16de vir Immer, 15 die 17de vir Hesir, die 18de vir Happsises, 16 die 19de vir Petag'ja, die 20ste vir Jehes'kel, 17 die 21ste vir Jagin, die 22ste vir Gamul, 18 die 23ste vir Dela'ja en die 24ste vir Maäs'ja.

19 Dit is hoe hulle vir hulle diens^f ingedeel is vir wanneer hulle in die huis van Jehovah sou ingaan volgens die procedure wat hulle voorvader Aäron ingestel het, net soos Jehovah, die God van Israel, hom beveel het.

20 En van die res van die Leviete: Su'bael^g van die seuns van Amram,^h Jeg'deja van die seuns van Su'bael, 21 Jissi'a, die hoof, van die seuns van Rehab'ja;ⁱ 22 Selo'mot^j van die Jishariete, Jahat van die seuns

HFST. 24

a Spr 16:33

b 1Kn 2:35

c 2Sa 8:17

d 2Sa 19:11
1Kn 1:5,7

e Lu 1:5

f 2Kn 11:9
Lu 1:8,23g 1Kr 23:16
1Kr 26:24

h Eks 6:18

i 1Kr 23:17

j 1Kr 23:18

Tweede kol.

a 1Kr 26:31

b Ge 46:11

c 1Kr 23:22

d Spr 16:33

HFST. 25

e 1Kr 16:41,42
2Kr 5:11,12
2Kr 35:15

f 1Sa 10:5

g 1Kr 15:16

h 1Kr 16:41,42

i 1Kr 15:16,18

van Selo'mot; 23 en van die seuns van He'bron: Jeri'a,^a die hoof, Amar'ja, die tweede, Ja-ha'siël, die derde, Jeka'meam, die vierde; 24 Miga van die seuns van Us'siël en Samir van die seuns van Miga. 25 Jissi'a was die broer van Miga, en van die seuns van Jissi'a was daar Sagari'a.

26 Die seuns van Mera'ri^b was Magli en Musi, en van die seuns van Jaäsi'a was daar Beno. 27 Die nakomelinge van Mera'ri deur Jaäsi'a was: Beno, Soham, Sakkur en Ibrî; 28 van Magli: Elea'sar, wat geen seuns gehad het nie;^c 29 van Kis: Jerag'meël; 30 en die seuns van Musi was Magli, Eder en Je'rîmot.

Dit was die seuns van Levi volgens hulle vaderhuise. 31 En net soos hulle broers, die seuns van Aäron, het hulle die lot gewerped^d in die teenwoordigheid van koning Dawid, Sadok, Ahime'leg en die hoofde van die vaderhuise van die priesters en van die Leviete. Die vaderhuis van die hoof is op dieselfde manier behandel as die vaderhuis van sy jonger broer.

25 Dawid en die hoofde van die seuns van Asaf, Heman en Jedu'tun^e gekies om te profeteer onder begeleiding van die harpe, die ander snaarinstrumente^f en die simbale.^g Hier volg die lys van die beampetes vir hierdie diens. 2 Van die seuns van Asaf: Sakkur, Josef, Netan'ja en Asare'la. Hulle was onder die leiding van Asaf, wat onder die leiding van die koning geprofeteer het. 3 Van Jedu'tun,^h die ses seuns van Jedu'tun: Gedal'ja, Seri, Jesa'ja, Si-meï, Hasab'ja en Mattit'ja.ⁱ Hulle was onder die leiding van hulle pa Jedu'tun, wat op die harp

gespeel en geprofeteer het en wat Jehovah gedank en geloof het.^a **4** Van Heman,^b die seuns van Heman: Bukki'a, Mattan'ja, Us'siël, Se'buel, Je'rimot, Hanan'ja, Hana'ni, Elia'ta, Giddal'ti, Romam'ti-E'ser, Josbeka'sa, Mallo'ti, Hotir en Maha'siot. **5** Hulle almal was die seuns van Heman. Hy was 'n siener van die koning wat sake in verband met die ware God bekend maak het tot sy eer, en daarom het die ware God vir Heman 14 seuns en 3 dogters gegee. **6** Hulle almal was onder die leiding van hulle pa, en hulle moes by die huis van Jehovah sing en musiek maak met simbale, harpe^c en ander snaarinstrumente vir die diens by die huis van die ware God.

Asaf, Jedu'tun en Heman was onder die leiding van die koning.

7 Hulle en hulle broers - altesaam 288 - was almal ervare sangers wat opgelei was om vir Jehovah te sing. **8** Die pligte van al die sangers, jonk sowel as oud, ervare sanger sowel as leerling, is deur middel van die lot^d toegewys.

9 Die eerste lot was vir Asaf se seun Josef,^e die tweede vir Gedal'ja^f saam met sy broers en sy seuns, altesaam 12; **10** die derde vir Sakkur^g saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **11** die vierde vir Jisri saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **12** die vyfde vir Netan'ja^h saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **13** die sesde vir Bukki'a saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **14** die sewende vir Jesare'la saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **15** die agtste vir Jesa'ja saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **16** die negende vir Mattan'ja saam met sy seuns en

HFST. 25

a Ef 5:19

b 1Kr 15:16, 19

c 1Kr 13:8
1Kr 15:16
1Kr 16:5

d Spr 16:33

e 1Kr 25:1, 2

f 1Kr 25:1, 3

g 1Kr 25:1, 2

h 1Kr 25:1, 2

Tweede kol.

a 1Kr 25:1, 4

b 1Kr 25:1, 4

c 1Kr 25:1, 4

d 1Kr 25:1, 4

HFST. 26

e 1Kr 9:2, 22
2Kr 23:16, 19

f 1Kr 26:14, 19

sy broers, altesaam 12; **17** die tiende vir Si'mei saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **18** die 11de vir Asa'reël saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **19** die 12de vir Hasab'ja saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **20** die 13de vir Su'bael^a saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **21** die 14de vir Mattit'ja saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **22** die 15de vir Je'remot saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **23** die 16de vir Hanan'ja saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **24** die 17de vir Josbeka'sa saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **25** die 18de vir Hana'ni saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **26** die 19de vir Mallo'ti saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **27** die 20ste vir Elia'ta saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **28** die 21ste vir Hotir saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **29** die 22ste vir Giddal'ti^b saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **30** die 23ste vir Maha'siot^c saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12; **31** en die 24ste vir Romam'ti-E'ser^d saam met sy seuns en sy broers, altesaam 12.

26 Hier volg 'n lys van die afdelings van die poortwagters.^e Van die Koragiete: Meselem'ja,^f die seun van Kore, van die seuns* van Asaf. **2** En Meselem'ja se seuns was: Sagarri'a, die eersgeborene, Jedi'ael, die tweede, Sebad'ja, die derde, Jat'niël, die vierde, **3** Elam, die vyfde, Joha'nan, die sesde en Eljeho'-Enai, die sewende. **4** En Obed-Edom se seuns was: Sema'ja, die eersgeborene, Jo'-

26:1 *In Hebreeus kan die woord "seun" ook "kleinseun" of "nakomeling" beteken.

sabad, die tweede, Joag, die derde, Sagar, die vierde, Neta'nel, die vyfde, 5 Ammi'ël, die sesde, Is'saskar, die sewende, en Peül'letai, die agtste, want God het Obed-Edom geseën.

6 Sy seun Sema'ja het seuns gehad wat hoofde van hulle vaderhuise was, want hulle was sterk, bekwame manne. 7 Sema'ja se seuns was: Otni, Re'fael, Obed en Elsa'bad. En sy broers Eli'hu en Semag'ja was ook bekwame manne. 8 Hulle almal was nakomelinge van Obed-Edom. Hulle en hulle seuns en hulle broers was bekwame manne, en hulle was goed gekwalifiseerd vir die diens. Daar was 62 uit die familie van Obed-Edom. 9 En Meselem'ja^a het 18 seuns en broers gehad wat bekwame manne was. 10 En die seuns van Hosa, van die seuns van Mera'ri, was: Simri, die hoof (sy pa het hom as hoof aangestel, al was hy nie die eersgeborene nie), 11 Hilki'a, die tweede, Tebal'ja, die derde, en Sagari'a, die vierde. Hosa het altesaam 13 seuns en broers gehad.

12 Net soos hulle broers het die hoofmanne van hierdie afdelings van die poortwagters pligte gehad. Hulle moes by die huis van Jehovah dien. 13 Toe het al die vaderhuise, klein sowel as groot, die lot gewerp^b om die poorte aan die verskillende vaderhuise toe te wys. 14 Die poort aan die oostekant is deur middel van die lot aan Selem'ja toegewys. Daarna is die lot gewerp vir sy seun Sagari'a, 'n verstandige raadgewer. En die poort aan die noordekant is aan hom toegewys. 15 Die poort aan die suidekant is aan Obed-Edom toegewys, en die stoorkamers is aan sy seuns^c toegewys. 16 Die poort

HFST. 26

a 1Kr 26:14, 19

b Spr 16:33

c 1Kr 26:4, 5

Tweede kol.

a 1Kr 26:10, 11

b 1Kr 26:15

c 1Kr 26:16

d 1Kn 7:51

1Kn 14:25, 26

1Kr 9:26

1Kr 18:10, 11

e 1Kr 29:8

f 1Kn 15:18

g Nu 3:27

h Eks 18:3, 4

i 1Kr 23:17

j Nu 31:50

1Kr 18:10, 11

k 1Kr 29:3, 4

l 1Kr 29:6, 7

m Nu 31:28

n Jos 6:19

aan die westekant naby die Sal-le'get-poort by die grootpad, is aan Suppim en Hosa^a toegewys. Die een groep wagte^a was langs die ander groep wagte. 17 Aan die oostekant was daar ses Leviete, en aan die noordekant en aan die suidekant was daar elke dag vier. En by die stoorkamers^b was daar twee groepe van twee. 18 Vir die pilaargang aan die weste, was daar vier by die grootpad^c en twee by die pilaargang. 19 Dit was die afdelings van die poortwagters van die Koragiete en die Mera-riete.

20 Ahi'a was ook 'n Leviet, en hy het toesig gehou oor die skatkamers van die huis van die ware God en oor die skatkamers van die dinge wat geheilig^{*} is.^d 21 Van die seuns van Ladan, dit wil sê van die Gersoniete wat aan Ladan behoort het, was Jehiëli^e een van die hoofde van die vaderhuise. 22 Jehiëli en sy seuns Setam en Joël was oor die skatkamers van die huis van Jehovah.^f 23 Van die Amramiete, die Jishariete, die Hebroniete en die Ussiëliete^g 24 was Se'buel, die seun van Gersom, die seun van Moses, 'n leier wat toesig gehou het oor die stoorkamers. 25 Se'buel se familieledede wat van Elië-ser^h afgestam het, was Rehab'ja,ⁱ sy seun Jesa'ja, sy seun Joram, sy seun Sigrì en sy seun Selo'mot. 26 Hierdie Selo'mot en sy broers het toesig gehou oor al die skatkamers waarin die dinge bewaar is wat geheilig is/ deur koning Dawid,^k die hoofde van die vaderhuise,^l die hoofde oor 1000, die hoofde oor 100 en die hoofde van die leërmag. 27 Hulle het van die buit^m wat in oorloë geneem was,ⁿ geheilig om die huis van Jehovah in

26:20 *Of "toegewy".

stand te hou. **28** Se'lomit* en sy broers het ook toesig gehou oor alles wat geheilig is, insluitende die dinge wat geheilig is deur die siener Samuel,^a Saul die seun van Kis, Abner,^b die seun van Ner, en Joab,^c die seun van Seru'ja.^d

29 Van die Jishariete^e is Kenan'ja en sy seuns aangestel om buite die huis van God te dien as beamptes en regters^f oor Israel.

30 Van die Hebroniete^g was Hasab'ja en sy broers verantwoordelik vir die administrasie van Israel in die streek wes van die Jordaanrivier. Hulle was altesaam 1700 bekwame manne en het toesig gehou oor al die werk wat vir Jehovah en vir die koning gedoen moes word.

31 Volgens die geslagsregister was Jeri'a^h die hoof van die Hebroniete. In die 40ste jaar van Dawid se koningskapⁱ het sy knegte na sterk, bekwame manne onder die Hebroniete gaan soek, en hulle het sulke manne in Jaser^j in Gi'lead gevind. **32** In Jeri'a se familie was daar 2 700 bekwame manne wat hoofde van die vaderhuse was. Koning Dawid het hulle oor die Rubeniete, die Gadiete en die halwe stam van Manas' se aangestel om na elke saak in verband met die ware God en die koning om te sien.

27 Hier volg 'n lys van die vaderhuse van Israel, die hoofde oor 1 000, die hoofde oor 100^k asook die offisiere onder hulle wat die koning gedien het en omgesien het na elke saak in verband met die afdelings. Elke maand van die jaar was een afdeling van 24 000 mans aan diens.

26:28 *Ook Selomot genoem in vs. 25 en 26.

HFST. 26

a 1Sa 9:9

b 1Sa 14:50

c 2Sa 20:23

d 2Sa 2:18

e 1Kr 23:12

f De 17:9
2Kr 19:8

g 1Kr 23:12

h 1Kr 23:19

i 1Kr 29:26, 27

j Jos 13:24, 25
Jos 21:8, 39

HFST. 27

k Eks 18:25
De 1:15
1Sa 8:11, 12

l 1Kr 28:1

Tweede kol.

a 1Kr 11:11

b Nu 26:20, 21

c 2Sa 23:9

d 1Kr 8:1, 4

e 2Sa 23:20-23
1Kn 4:4

f 1Kr 12:27

g 2Sa 2:18
2Sa 23:8, 24

h 1Kr 2:15, 16

i 2Sa 23:8, 26

j 2Kr 11:5, 6
Am 1:1

k 1Kr 11:10, 27

l 2Sa 21:18

m Nu 26:20

n 2Sa 23:8, 27

o 1Kr 6:60, 64

p 2Sa 23:8, 28

2 Jaso'beam,^a die seun van Sab'diël, was oor die afdeling wat in die eerste maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **3** Hy was 'n nakomeling van Peres^b en was die hoof van al die hoofde van die groepe wat aangestel is om in die eerste maand te dien.

4 Dodai,^c die Ahohiet,^d was oor die afdeling wat in die tweede maand aan diens was. Daar was 24 000 in sy afdeling, en Miklot was die leier. **5** Bena'ja,^e die seun van die hoofpriester Joja'da,^f was die hoof oor die afdeling wat in die derde maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **6** Hierdie Bena'ja was 'n magtige vetter. Hy was een van die dertig en was die hoof van die dertig. Sy seun Ammi'sabad was oor sy afdeling. **7** A'sahel,^g Joab se broer,^h was die hoof oor die afdeling wat in die vierde maand aan diens was. Daar was 24 000 in sy afdeling, en sy seun Sebad'ja was sy opvolger. **8** Samhut, die Jisragiet, was oor die afdeling wat in die vyfde maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **9** Ira,ⁱ die seun van Ikkes, die Tekoiet,^j was oor die afdeling wat in die sesde maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **10** Heles,^k die Peloniet, van die stam van E'fraim, was oor die afdeling wat in die sewende maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **11** Sib'begai,^l die Husatiet, van die Seragiete,^m was oor die afdeling wat in die agtste maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **12** Abiëser,ⁿ die Anatotiet,^o van die stam van Benjamin, was oor die afdeling wat in die negende maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **13** Ma'harai,^p die Netofatiet, van die Seragie-

te,^a was oor die afdeling wat in die tiende maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **14** Bena'ja,^b die Piratoniet, van die seuns van E'fraim, was oor die afdeling wat in die 11de maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling. **15** Heldai, die Netofatiet, 'n nakomeling van Ot'niël, was oor die afdeling wat in die 12de maand aan diens was, en daar was 24 000 in sy afdeling.

16 Hier volg 'n lys van die leiers van die stamme van Israel. Van die Rubeniete: Eliëser, die seun van Sigri. Van die Simeoniete: Sefat'ja, die seun van Ma'äga. **17** Van Levi: Hasab'ja, die seun van Ke'muel. Van Aäron: Sadok. **18** Van Juda: Eli'hu,^c een van Dawid se broers. Van Is'saskar: Omri, die seun van Mi'gael. **19** Van Sebulon: Jisma'ja, die seun van Obad'ja. Van Naftali: Je'rimot, die seun van As'riël. **20** Van E'fraim: Hose'a, die seun van Asas'ja. Van die halwe stam van Manas'se: Joël, die seun van Peda'ja. **21** Van die ander halwe stam van Manas'se in Gi'lead: Iddo, die seun van Sagari'a. Van Benjamin: Jaäsiël, die seun van Abner.^d **22** En van Dan: Asa'reël, die seun van Jero'ham. Dit was die leiers van die stamme van Israel.

23 Dawid het nie die mense getel wat 20 jaar en jonger was nie, want Jehovah het belowe om Israel so baie soos die sterre van die hemel te maak.^e **24** Joab, die seun van Seru'ja, het die volk begin tel, maar hy het nie klaargemaak nie. As gevolg van die sensus het God baie kwaad geword vir Israel,^f en die getal is nie neergeskryf in die boek met die geskiedkundige verslae van koning Dawid nie.

HFST. 27

a Nu 26:20

b 2Sa 23:8, 30

c 1Sa 16:1, 6
1Sa 17:28d 1Sa 14:50
2Sa 3:27

e Ge 15:5

f 2Sa 24:2, 15
1Kr 21:6, 7

Tweede kol.

a 2Kn 18:15

b 2Kr 9:27

c 2Kr 26:9, 10

d Jes 35:2

e 2Sa 13:3
2Sa 21:21

f 1Kr 3:1-9

g 2Sa 15:12
2Sa 16:23
2Sa 17:23h 2Sa 15:37
2Sa 16:16, 17

i 1Kn 1:7

j 2Sa 23:20-23
1Kn 2:35

k 1Kr 11:6

25 Asma'wet, die seun van A'diël, was oor die skatkamers van die koning.^a Jo'natan, die seun van Ussi'a, was oor die stoorkamers* op die platteland, in die stede, in die dorpie en in die torings. **26** Esri, die seun van Kelub, was oor die werkers wat die grond bewerk het. **27** Si'meï, die Ramatiet, was oor die wingerde, en Sabdi, die Sifmiet, was verantwoordelik vir die vervaardiging van wyn. **28** Baäl-Hanan, die Gederiet, was oor die olyfboorde en die wildevyebome^b in die Sje'fe'la,^c en Joas was oor die olievoorrade. **29** Sitrai, die Saroniet, het toesig gehou oor die beeste wat in Saron^d gewei het, en Safat, die seun van Adlai, het toesig gehou oor die beeste in die valleivlaktes. **30** Obil, die Ismaeliet, het toesig gehou oor die kamele, en Jeg'deja, die Meronotiet, het toesig gehou oor die donkies.* **31** En Jasis, die Hagriet, het toesig gehou oor die kleinvee. Dit was al die hoofde wat toesig gehou het oor koning Dawid se besittings.

32 Jo'natan,^e Dawid se neef, was 'n verstandige man. Hy was 'n raadgever en 'n sekretaris. En Jehi'ël, die seun van Hagmo'ni, het toesig gehou oor die koning se seuns.^f **33** Agito'fel^g was een van die koning se raadgevers, en Husai,^h die Arkiet, was die koning se vriend.* **34** Nâ Agito'fel was Abja'tarⁱ en Joja'da, die seun van Bena'ja,^j die koning se raadgevers, en Joab^k was die hoof van die koning se leërmag.

28 Dawid het al die leiers van Israel in Jerusalem bymekaar laat kom: die leiers van die stamme, die hoofde oor die

27:25 *Of "skatkamers". 27:30 *Lett. "donkiemerries". 27:33 *Of "vertroueling".

afdelings^a wat die koning gedien het, die hoofde oor 1000, die hoofde oor 100,^b die hoofde wat toesig gehou het oor al die besittings en vee van die koning^c en van sy seuns,^d sowel as die hofbeamptes en elke sterk en bekwaam man.^e **2** Toe het koning Dawid opgestaan en gesê:

“Luister na my, my broers en my volk. Dit was my hartsbegeerte om 'n permanente huis vir die ark van die verbond van Jehovah te bou wat as die voetbank van ons God sou dien,^f en ek het voorbereidings getref om dit te bou.^g **3** Maar die ware God het vir my gesê: ‘Jy sal nie 'n huis vir my naam bou nie,^h want jy is 'n man van oorlog en het baie mense doodgemaak.’ⁱ

4 Tog het Jehovah, die God van Israel, my uit die hele huis van my vader gekies om vir ewig koning oor Israel te wees.^j Hy het Juda as leier gekies,^k en van die huis van Juda het hy my vader se huis gekies,^l en van my vader se seuns het hy my goedgekeur om koning oor die hele Israel te wees.^m **5** En van al my seuns – want Jehovah het my baie seuns gegeeⁿ – het hy my seun Salomo^o gekies om koning oor Israel te word en op die troon van die koningskap van Jehovah te sit.^p

6 “Hy het vir my gesê: ‘Jou seun Salomo is die een wat my huis en my voorhowe sal bou, want ek het hom as my seun gekies, en ek sal sy vader word.’^q

7 Ek sal sy koningskap vir ewig stewig vestig^r as hy vasbeslote bly om my geboorte en my regterlike bevel te gehoorsaam,^s net soos hy nou doen.’ **8** Daarom sê ek in die teenwoordigheid van die hele Israel, Jehovah se gemeente, en met ons God as getuie: Studeer al die geboorte

HFST. 28

- a 1Kr 27:1
- b Eks 18:25
- c 1Kr 27:25, 29
- d 1Kr 3:1-9
- e 1Kr 11:10
- f Ps 132:3-5
- g 1Kr 22:2-4
- h 1Kr 17:4
- i 1Kr 22:7, 8
- j 1Sa 16:1, 13
2Sa 7:8
Ps 89:20
- k Ge 49:10
1Kr 5:2
Ps 60:7
- l Rut 4:22
- m 1Sa 13:14
1Sa 16:11, 12
- n 1Kr 3:1-9
- o 1Kr 22:9
- p 1Kr 17:14
2Kr 1:8
- q 2Sa 7:13, 14
- r 1Kr 17:13, 14
Ps 72:8
- s De 12:1
1Kn 6:12

Tweede kol.

- a De 6:3
- b De 10:12
- c 1Sa 16:7
1Kr 29:17
Spr 17:3
Op 2:23
- d De 31:21
Ps 139:2
- e Mt 7:7
Heb 11:6
Jak 4:8
- f De 31:17
2Kr 15:2
Heb 10:38
- g Heb 8:5
- h 2Kr 3:4
- i Le 16:2
1Kn 6:19
- j 1Kn 6:36
1Kn 7:12
- k 1Kr 9:26
1Kr 26:20
- l 1Kr 24:1

van Jehovah julle God, en julle moet streng gehoorsaam wees daaraan, sodat julle die goeie land^a kan besit en dit as 'n permanente erfdeel aan julle kinders kan oordra.

9 “En jy, my seun Salomo, jy moet die God van jou vader leer ken, en jy moet hom met jou hele hart^b en 'n vreugdevolle^c siel^d dien, want Jehovah deursoek alle harte,^e en hy sien elke begeerte^f en gedagte.^g As jy hom soek, sal hy sorg dat jy hom vind,^h maar as jy hom verlaat, sal hy jou vir ewig verwerp.ⁱ **10** Jy moet beseft dat Jehovah jou gekies het om 'n huis as 'n heiligdom te bou. Wees moedig, en begin met die werk.”

11 Dawid het toe vir sy seun Salomo die bouplan^g gegee van die voorportaal^h en die kamers van die tempel, insluitende die stoorkamers, die dakvertreke, die binnekamers en die vertrek van versoening.ⁱ **12** Hy het vir hom die bouplan van alles gegee wat hy deur inspirasie^j ontvang het: vir die voorhowe^j van Jehovah se huis, vir al die eetkamers rondom die voorhowe, vir die skatkamers van die huis van die ware God en vir die skatkamers van die dinge wat geheilig^k was.^k **13** Hy het ook vir hom instruksies gegee vir die afdelings van die priesters^l en die Leviete, vir al die pligte in verband met die diens by die huis van Jehovah en vir al die voorwerpe vir die diens by die huis van Jehovah. **14** Hy het gesê hoeveel goud nodig sou wees vir al die voorwerpe vir die verskillende dienste en hoeveel silwer nodig sou wees vir al die silwervoor-

28:9 *Of “'n hart wat ten volle toegewyd is”. *Of “gewillige”. ^ΔSien Woordelys. ^ΩOf “neiging”. **28:11** *Of “die versoendeksel”. **28:12** *Lett. “deur die gees”. *Of “toegewy”.

28:3 *Lett. “het bloed vergiet”.

werpe en al die voorwerpe vir die verskillende dienste. **15** Hy het gesê hoeveel goud nodig sou wees vir die verskillende goue lampstaanders^a en hulle lampe en hoeveel silwer nodig sou wees vir die verskillende silwerlampstaanders en hulle lampe, afhange van hoe elkeen gebruik sou word. **16** Hy het ook gesê hoeveel goud nodig sou wees vir elkeen van die tafels waarop die stapelbrode^{a,b} gesit moes word en hoeveel silwer nodig sou wees vir die silwertafels. **17** Hy het gesê hoeveel goud nodig sou wees vir die vurke, die bakke en die kanne van suiwer goud en vir die goue bakkies^c en hoeveel silwer nodig sou wees vir die silwerbakkies. **18** Hy het ook gesê hoeveel suiwer goud nodig sou wees vir die reukaltaar^d en vir dit wat die strydwa afbeeld,^e naamlik die goue gerubs^f wat hulle vlerke uitsprei oor die ark van die verbond van Jehovah. **19** Dawid het gesê: "Die hand van Jehovah was met my, en hy het vir my die insig gegee om al die besonderhede van die bouplan^g neer te skryf."^h

20 Toe het Dawid vir sy seun Salomo gesê: "Wees moedig en sterk, en begin met die werk. Moenie bang wees of vrees nie, want Jehovah God, my God, is met jou.ⁱ Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie,^j maar hy sal met jou wees totdat al die werk in verband met Jehovah se huis klaar is. **21** En hier is die afdelings van die priesters^k en die Leviete^l vir die diens by die huis van die ware God. Jy het gewillige ambagsmanne vir elke soort werk,^m asook die leiersⁿ en die hele volk wat al jou instruksies sal uitvoer."

28:16 *D.w.s. die offerbroede.

HFST. 28

a 2Kr 4:7

b 2Kr 4:8, 19

c 1Kn 7:48, 50

d 1Kn 7:48

e Ps 18:10

f Eks 25:20

1Sa 4:4

1Kn 6:23

g 1Kr 28:11

h Eks 25:9, 40

i De 31:6

Jos 1:6, 9

Ro 8:31

j Jos 1:5

k 1Kr 24:1

l 1Kr 24:20

m Eks 36:1, 2

n 1Kr 22:17

1Kr 28:1

Tweede kol.

HFST. 29

a 1Kr 28:5

b 1Kn 3:7

c 2Kr 2:4

d 1Kr 22:3, 16

e 1Kr 22:4, 14

f Ps 26:8

Ps 27:4

Ps 122:1

g 1Kr 21:24

h Job 28:16

i Eks 35:5

j Eks 18:25

k 1Kr 27:25, 29

1Kr 27:31

29 Koning Dawid het toe vir die hele gemeente gesê: "My seun Salomo, die een wat God gekies het,^a is jonk en onervare,^b en die werk is groot, wat dit is nie 'n tempel* vir 'n mens nie, maar vir Jehovah God.^c **2** En ek het baie moeite gedoen om voorbereidings te tref vir die huis van my God. Ek het die goud, die silwer, die koper, die yster,^d die hout^e en onikstene voorsien, sowel as stene wat met messelklei geset moet word, mosaïeksteentjies, allergehande edelstene en baie albastene. **3** En omdat die huis van my God my so na aan die hart lê,^f gee ek ook my eie^g goud en silwer vir die huis van my God. Dit is nou bo en behalwe alles wat ek vir die heilige huis bymekaargemaak het. **4** Ek gee 3 000 talente* goud van Ofir^h en 7 000 talente suiwer silwer om die mure van die kamers oor te trek. **5** Ek gee die goud en die silwer vir al die werk wat deur die ambagsmanne gedoen moet word. En wie van julle wil vandag vir Jehovah 'n vrywillige bydrae gee?"ⁱ

6 Toe het die leiers van die vaderhuise, die leiers van die stamme van Israel, die hoofde oor 1 000, die hoofde oor 100/ en die hoofde oor die sake van die koning^k vrywillige bydraes gegee. **7** En hulle het vir die diens van die huis van die ware God 5 000 talente goud, 10 000 darieke,^{*} 10 000 talente silwer, 18 000 talente koper en 100 000 talente yster gegee. **8** Almal wat edelstene gehad het, het dit vir die skatkamer van die huis van Jehovah gegee, wat onder die toesig was van

29:1 *Of "vesting; paleis". 29:4 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. 29:7 *'n Dariek was 'n Perseiese goue muntstuk. Sien Aanh. B14.

Jehi'ël,^a die Gersoniet.^b **9** Die volk was baie bly oor die vrywillige bydraes wat hulle gegee het, want hulle het dit met hulle hele hart^c aan Jehovah gegee. En koning Dawid was ook baie bly.

10 Dawid het Jehovah toe voor die hele gemeente geloof en gesê: "O Jehovah, die God van ons vader Israel, mag u tot in alle ewigheid* geloof word.

11 O Jehovah, u is groot,^d magtig,^e indrukwekkend en vol prag en majesteit.^{ef} Alles in die hemel en op die aarde behoort aan u.^g Aan u behoort die koninkryk, o Jehovah.^h U is die hoof oor alles. **12** Rykdom en heerlikheid kom van u af,ⁱ en u regeer oor alles,^j en in u hand is daar krag^k en mag.^l U hand kan enigiemand verhoog^m en aan almal krag gee.ⁿ **13** En nou, o ons God, dank ons u en loof ons u pragtige naam.

14 "Maar wie is ek en wie is my volk, dat ons die voorreg kan hê om sulke vrywillige bydraes te gee? Want alles kom van u, en ons het aan u teruggegee wat ons uit u hand ontvang het. **15** Ons is uitlanders voor u en tydelike inwoners, net soos al ons voorvaders.^o Want ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee^p - sonder hoop. **16** O Jehovah ons God, al hierdie rykdom wat ons bymekaar-gemaak het om vir u 'n huis te bou vir u heilige naam, kom uit u hand en dit behoort alles aan u. **17** O my God, ek weet goed dat u mense se harte ondersoek^q en dat integriteit* u hart bly maak.^r In die opregtheid van my hart het ek al hierdie vrywillige bydraes gegee. En my hart loop oor van vreugde

29:10 *Of "van ewigheid tot ewigheid".
29:11 *Of "waardigheid". **29:17** *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

HFST. 29

a 1Kr 26:22

b 1Kr 6:1

c 2Kor 9:7

d Ps 145:3

1Ti 1:17

e Op 5:13

f 1Kr 16:27

Ps 8:1

g Ps 24:1

Jes 42:5

h Ps 103:19

Mt 6:10

i De 8:18

Spr 10:22

Flp 4:19

j 2Kr 20:6

k Jes 40:26

l De 3:24

Ef 1:19

Op 15:3

m 2Kr 1:11, 12

n 2Kr 16:9

Ps 18:32

Jes 40:29

o Le 25:23

Heb 11:13

p Job 4:1, 2

Jak 4:13, 14

q 1Kr 28:9

r Spr 11:20

Spr 15:8

Heb 1:9

Tweede kol.

a Ps 10:17

Ps 86:11

b 1Kn 6:12

c Mr 12:30

d 1Kr 22:14

e Le 1:3

f Le 23:12, 13

Nu 15:5

g 1Kn 8:63, 64

h De 12:7

2Kr 7:10

Ne 8:12

i 1Kn 1:38-40

1Kr 23:1

j 1Kn 2:35

k 1Kr 28:5

l 1Kr 22:17

m 1Kr 28:1

n 1Kr 3:1-9

om te sien hoe u volk vrywillige bydraes aan u gee. **18** O Jehovah, die God van ons voorvaders Abraham, Isak en Israel, help u volk om vir altyd so 'n gewillige gees te behou en om u met hulle hele hart te dien.^a **19** En help my seun Salomo om u gebooi,^b u herinneringe en u wetsvoorskrifte met sy hele hart^c te gehoorsaam. Help hom om al hierdie dinge te doen en om die tempel^d te bou waarvoor ek voorbereidings getref het."^d

20 Dawid het toe vir die hele gemeente gesê: "Loof Jehovah julle God." En die hele gemeente het Jehovah, die God van hulle voorvaders, geloof en op hulle knieë gegaan en neergebuig voor Jehovah en voor die koning. **21** Die volgende dag het hulle voortgegaan om offerandes aan Jehovah te offer en brandoffers^e aan Jehovah te bring: 1000 jong bulle, 1000 skaapramme, 1000 ramlammers en die drankoffers wat daarmee saamgaan.^f Hulle het baie offerandes vir die hele Israel geoffer.^g **22** Op daardie dag het hulle ook met groot blydschap voor Jehovah geëet en gedrink.^h Hulle het Salomo, die seun van Dawid, vir die tweede keer koning gemaak en hom voor Jehovah as leier gesalf,ⁱ en hulle het Sadok as priester gesalf.^j **23** En Salomo het as koning in die plek van sy pa, Dawid, op Jehovah se troon gaan sit.^k Hy was suksesvol, en al die Israëliete was gehoorsaam aan hom. **24** Al die leiers,^l die magtige vegters^m en al die seuns van koning Dawidⁿ het hulle aan koning Salomo onderwerp. **25** Jehovah het Salomo buitengewone eer gegee sodat die hele Israel hom bewonder het. Hy

29:19 *Of "met 'n hart wat ten volle toegewyd is". *Of "vesting; paleis".

het hom meer koninklike majesteit gegee as enige koning van Israel voor hom.^a

26 Dawid, die seun van Isai, het oor die hele Israel regeer.

27 Hy het 40 jaar lank oor Israel regeer. Hy het 7 jaar lank in He'bron regeer,^b en hy het 33 jaar lank in Jerusalem regeer.^c

28 Hy het op 'n goeie ouderdom gesterf,^d nadat hy 'n lang lewe, rykdom en eer geniet het. En sy

HFST. 29

a 1Kn 3:12

2Kr 1:1,12

Pr 2:9

b 2Sa 2:11

c 2Sa 5:4, 5

d 1Kn 1:1

Tweede kol.

a 1Kn 2:10-12

b 2Sa 7:2

2Sa 12:1

c 1Kr 21:9, 10

seun Salomo het in sy plek koning geword.^a **29** Die geskiedenis van koning Dawid is van begin tot einde opgeteken in die geskrifte van die siener Samuel, die profeet Natan^b en die siener Gad.^c **30** Alles omtrent sy koningskap, sy magtige daede en alles wat met hom, met Israel en met al die omliggende koninkryke gebeur het, is ook daarin opgeteken.

DIE TWEDE BOEK VAN KRONIEKE

O O R S I G

- | | |
|--|---|
| <ol style="list-style-type: none"> 1 Salomo vra vir wysheid (1-12)
Salomo se rykdom (13-17) 2 Voorbereidings vir bou van tempel (1-18) 3 Salomo begin tempel bou (1-7)
Die Allerheiligste (8-14)
Die twee koperpilare (15-17) 4 Die altaar, die See en die komme (1-6)
Lampstanders, tafels en voorhowe (7-11a)
Werk by tempel voltooi (11b-22) 5 Voorbereidings vir inwyding van tempel (1-14)
Ark word na tempel gebring (2-10) 6 Salomo se toespraak (1-11)
Salomo se inwydingsgebed (12-42) 7 Tempel gevul met Jehovah se heerlikheid (1-3)
Inwydingseremonies (4-10)
Jehovah verskyn aan Salomo (11-22) 8 Salomo se ander bouprojekte (1-11)
Aanbidding by tempel word georganiseer (12-16)
Salomo se skepe (17, 18) 9 Koningin van Skeba besoek Salomo (1-12) | <ol style="list-style-type: none"> Salomo se rykdom (13-28)
Salomo sterf (29-31) 10 Israel se opstand teen Rehabeam (1-19) 11 Rehabeam se bewind (1-12)
Lojale Leviete trek na Juda (13-17)
Rehabeam se familie (18-23) 12 Sisak val Jerusalem aan (1-12)
Einde van Rehabeam se bewind (13-16) 13 Abia, koning van Juda (1-22)
Abia verslaan Jerobeam (3-20) 14 Abia sterf (1)
Asa, koning van Juda (2-8)
Asa verslaan 1 000 000 Etiopiërs (9-15) 15 Asa bevorder ware aanbidding (1-19) 16 Asa se ooreenkoms met Sirië (1-6)
Hanani bestraf Asa (7-10)
Asa sterf (11-14) 17 Josafat, koning van Juda (1-6)
Onderrigtingskampanje (7-9)
Josafat se militêre mag (10-19) 18 Josafat se verbintenisse met Agab (1-11)
Migaja voorspel dat Israel gevegsal verloor (12-27)
Agab by Ramot-Gilead doodgemaak (28-34) |
|--|---|

- | | |
|--|---|
| <p>19 Jehu bestraf Josafat (1-3)
Josafat bevorder ware aanbidding (4-11)</p> <p>20 Buurlande bedreig Juda (1-4)
Josafat bid vir hulp (5-13)
Jehovah se antwoord (14-19)
Juda wonderdadig gered (20-30)
Einde van Josafat se bewind (31-37)</p> <p>21 Joram, koning van Juda (1-11)
Brief van Elia (12-15)
Joram se lyding en dood (16-20)</p> <p>22 Ahasia, koning van Juda (1-9)
Atalia maak haarself koningin (10-12)</p> <p>23 Jojada tree op; Joas word koning
gemaak (1-11)
Atalia word doodgemaak (12-15)
Jojada bevorder ware
aanbidding (16-21)</p> <p>24 Joas se bewind (1-3)
Joas herstel tempel (4-14)
Joas se afvalligheid (15-22)
Joas vermoor (23-27)</p> <p>25 Amasia, koning van Juda (1-4)
Oorlog teen Edom (5-13)
Amasia se afgodediens (14-16)
Oorlog teen koning Joas van
Israel (17-24)
Amasia sterf (25-28)</p> <p>26 Ussia, koning van Juda (1-5)
Ussia se oorloë (6-15)
Hoogmoedige Ussia met
melaatsheid getref (16-21)
Ussia sterf (22, 23)</p> <p>27 Jotam, koning van Juda (1-9)</p> <p>28 Agas, koning van Juda (1-4)
Verslaan deur Sirië en Israel (5-8)</p> | <p>Oded waarsku Israel (9-15)
Juda verneder (16-19)
Agas se afgodediens; sy dood (20-27)</p> <p>29 Hiskia, koning van Juda (1, 2)
Hiskia bevorder ware aanbidding (3-11)
Tempel gereinig (12-19)
Tempeldiens weer ingestel (20-36)</p> <p>30 Hiskia hou Pasga (1-27)</p> <p>31 Hiskia roei afvalligheid uit (1)
Priesters en Leviete word
ondersteun (2-21)</p> <p>32 Sanherib bedreig Jerusalem (1-8)
Sanherib tart Jehovah uit (9-19)
Engel roei Assiriese leërmag uit (20-23)
Hiskia se siekte en hoogmoed (24-26)
Hiskia se prestasies en dood (27-33)</p> <p>33 Manasse, koning van Juda (1-9)
Manasse toon berou (10-17)
Manasse sterf (18-20)
Amon, koning van Juda (21-25)</p> <p>34 Josia, koning van Juda (1, 2)
Josia bevorder ware aanbidding (3-13)
Wetboek gevind (14-21)
Hulda voorspel rampspoed (22-28)
Josia lees vir volk uit die boek (29-33)</p> <p>35 Josia reël 'n groot Pasgaviering (1-19)
Josia deur farao Nego
doodgemaak (20-27)</p> <p>36 Joahas, koning van Juda (1-3)
Jojakim, koning van Juda (4-8)
Jojagin, koning van Juda (9, 10)
Sedekia, koning van Juda (11-14)
Vernietiging van Jerusalem (15-21)
Kores se opdrag om tempel te
herbou (22, 23)</p> |
|--|---|

1 Salomo, die seun van Dawid, het 'n stewige houvas op sy koningskap gekry, en Jehovah sy God was met hom en het hom baie magtig laat word.^a

2 Salomo het die hele Israel laat roep: die hoofde oor 1000, die hoofde oor 100, die regters en al die hoofmanne van die hele Israel, die hoofde van die

HFST. 1

a 1Kr 29:25
Pr 2:9
Mt 6:28, 29
Mt 12:42

Tweede kol.

a 1Kn 3:4
1Kr 21:29

b 1Kr 13:5

vaderhuisse. **3** Toe het Salomo en die hele gemeente na die offerhoogte in Gi'beon^a gegaan, want dit is waar die tent van samekoms van die ware God was, die tent wat Moses, die kneg van Jehovah, in die wildernis gemaak het. **4** Maar Dawid het die Ark van die ware God in Kir'jat-Jea'rim gaan haal^b en dit

na die plek gebring wat hy daarvoor gereedgemaak het. Hy het 'n tent daarvoor in Jerusalem opgeslaan.^a **5** En die koperaltaar^b wat Besa'leël,^c die seun van Uri, die seun van Hur, gemaak het, is voor die tabernakel van Jehovah gesit. En Salomo en die gemeente het gereeld voor die altaar gebid.* **6** Salomo het toe offerandes voor Jehovah geoffer. Hy het 1000 brandoffers op die koperaltaar^d van die tent van samekoms geoffer.

7 Daardie nag het God aan Salomo verskyn en vir hom gevra: "Wat wil jy hê moet ek vir jou gee?"^e **8** Toe het Salomo vir God gesê: "U het groot lojale liefde betoon aan my pa, Dawid,^f en u het my in sy plek koning gemaak.^g **9** O Jehovah God, hou u belofte aan my pa, Dawid,^h want u het my koning gemaak oor 'n volk wat so baie is soos die stof van die aarde.ⁱ **10** Gee my nou wysheid en kennis^j sodat ek hierdie volk kan lei,* want wie kan as regter optree vir u groot volk?"^k

11 Toe het God vir Salomo gesê: "Omdat jy nie vir rykdom en eer of die dood van die mense wat jou haat gevra het nie en ook nie vir 'n lang lewe gevra het nie, maar dit eerder jou hartsbegeerte is om wysheid en kennis te hê sodat jy my volk kan rig waaroor ek jou koning gemaak het,^l **12** sal wysheid en kennis aan jou gegee word. Maar ek sal jou ook rykdom en eer gee soos geen koning voor jou gehad het nie en soos nie een ná jou sal hê nie."^m

13 Toe het Salomo van die offerhoogte in Gi'beon,ⁿ van die

1:5 *Of "het Hom gereeld daar vir leiding gevra". 1:10 *Lett. "sodat ek voor hierdie volk kan uitgaan en kan inkom".

HFST. 1

a 1Kr 16:1

b Eks 38:1, 2

c Eks 31:2-5

d 1Kn 3:4

e 1Kn 3:5-9

f 2Sa 7:8

g 1Kr 28:5
Ps 89:28, 29h 2Sa 7:12
1Kr 28:6
Ps 132:11

i Ge 13:14, 16

j Spr 2:6
Jak 1:5

k Ps 72:1, 2

l 1Kn 3:10-13
1Kn 3:28m 1Kr 29:25
2Kr 9:22
Pr 2:9

n 1Kn 3:4

Tweede kol.

a De 17:16
1Kn 4:26

b 2Kr 8:5, 6

c 2Kr 9:25

d 1Kn 10:21

e 1Kn 10:27
2Kr 9:27

f 2Kr 9:28

g 1Kn 10:28, 29

HFST. 2

h De 12:11
1Kr 22:10

i 1Kn 7:1

j 1Kn 5:15

k 1Kn 5:16
1Kn 9:22
2Kr 2:17, 18

l 1Kn 5:1

m 2Sa 5:11

n Eks 30:7

o Eks 25:30

tent van samekoms, na Jerusalem gekom, en hy het oor Israel regeer. **14** Salomo het al hoe meer strydwaens en perde* vir hom gekry. Hy het 1400 strydwaens en 12 000 perde* gehad,^a en hy het hulle in die strydwaestede^b en naby die koning in Jerusalem gehou.^c **15** Die koning het die silwer en die goud in Jerusalem so volop soos die klippe gemaak,^d en sederhout so volop soos die wildevyebome in die Sjele'la.^e **16** Salomo se perde is uit Egipte ingevoer,^f en die koning se groep koopmanne het troppe perde gekoop* teen 'n vasgestelde prys.^g **17** Elke strydwa wat uit Egipte ingevoer is, het 600 silwerstukke gekos, en 'n perd het 150 gekos. En hulle het die strydwaens en die perde uitgevoer na al die konings van die Hetiëte en die konings van Sirië.

2 Salomo het toe beveel dat 'n huis vir Jehovah se naam^h en 'n paleis vir homself gebou moet word.ⁱ **2** Salomo het 70 000 manne as arbeiders* laat werk, en 80 000 manne as klipkappers in die berge.^j Hy het ook 3 600 opsiëners oor hulle aangestel.^k **3** En Salomo het die volgende boodskap aan Hiram,^l die koning van Tirus, gestuur: "Stuur asseblief vir my sederhout net soos u vir my pa, Dawid, gedoen het toe hy vir hom 'n paleis wou bou.^m **4** Ek gaan nou 'n huis vir die naam van Jehovah my God bou. Ek sal dit vir hom heilig sodat ek geurige reukwerkⁿ voor hom kan brand, sodat die stapelbrode*^o altyd daar gesit kan word en

1:14 *Of "perderuiters". 1:16 *Of moontlik "uit Egipte en uit Kewé ingevoer; die koning se koopmanne het hulle in Kewé gekoop", wat moontlik na Silisië verwys. 2:2 *Of "lasdraers". 2:4 *D.w.s. die offerbrode.

sodat brandoffers gebring kan word in die oggend en in die aand,^a op die Sabbatte,^b op die nuwemane^c en gedurende die feestye^d van Jehovah ons God. Dit is die dinge wat Israel altyd moet doen. **5** Die huis wat ek bou, sal groot en indrukwekkend wees, want ons God is groter as al die ander gode.

6 Maar wie sal ooit vir hom 'n huis kan bou? Want die hemel, selfs die hoogste hemele, kan hom nie bevat nie.^e Wie is ek dan dat ek vir hom 'n huis sou bou? Al wat ek kan doen, is om 'n huis te bou waar ek vir hom offerandes kan offer. **7** Stuur dan nou vir my 'n vaardige ambagsman wat met goud, silwer, koper,^f yster, pers wol, donkerrooi garing en blou garing kan werk en wat graveerwerk kan doen. Hy sal in Juda en in Jerusalem saam met my vaardige ambagsmanne werk, wat deur my pa, Dawid, uitgekies is.^g **8** En stuur vir my sederhout, jenerwerhout^h en sandelhoutⁱ van die Li'banon-berge, want ek weet goed dat u knegte ervaar houtkappers is wat weet hoe om die bome van die Li'banon-berge^j af te kap. My knegte sal saam met u knegte werk^k **9** en baie hout vir my gereedmaak, want die huis wat ek gaan bou, sal baie groot en indrukwekkend wees. **10** Ek sal kos voorsien aan u knegte,^l die houtkappers: 20 000 kor* koring, 20 000 kor gars, 20 000 bat[#] wyn en 20 000 bat olie.”

11 Toe het Hiram, die koning van Tirus, hierdie boodskap in 'n brief aan Salomo gestuur: “Jehovah het sy volk lief, en daarom het hy u as hulle koning aangestel.” **12** Hiram het ook

2:10 *n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanb. B14. #n Bat was gelyk aan 22 l. Sien Aanb. B14.

HFST. 2

- a Nu 28:4
- b Nu 28:9
- c Nu 28:11
- d De 16:16
- e 1Kn 8:27
Jes 66:1
Han 17:24
- f 1Kn 7:13, 14
- g 1Kr 22:15
- h 1Kn 5:6, 8
2Kr 3:5
- i 1Kn 10:11
- j 1Kn 5:9
- k 1Kn 5:14
- l 1Kn 5:11

Tweede kol.

- a 1Kn 5:7
- b 2Kr 1:11, 12
- c 1Kn 7:13, 14
2Kr 4:11-16
- d 2Kr 3:14
- e Eks 31:2-5
- f 2Kr 2:10
- g 1Kn 5:6, 8
- h Jos 19:46, 48
Esr 3:7
- i 1Kn 5:9
- j 2Kr 8:7, 8
- k 1Kr 22:2
- l 1Kn 5:17, 18
1Kr 22:15
- m 1Kn 5:15, 16

HFST. 3

- n 1Kn 6:1
1Kn 6:37
- o Ge 22:2, 14
- p 2Sa 24:25
1Kr 21:18
- q 2Sa 24:18
1Kr 21:22

gesê: “Mag Jehovah, die God van Israel, wat die hemel en die aarde gemaak het, geloof word, want hy het vir koning Dawid 'n wyse seun gegee^a wat goeie oordeel en begrip het^b en wat 'n huis vir Jehovah en 'n paleis vir homself sal bou. **13** Ek stuur vir u Hiram-Abi,^c 'n bekwame ambagsman met die nodige kennis. **14** Hy is die seun van 'n vrou uit die stam van Dan, maar sy pa was 'n man van Tirus. Hy het baie ondervinding en kan werk met goud, silwer, koper, yster, stene, hout, pers wol, blou garing, goeie materiaal en donkerrooi materiaal.^d Hy kan enige soort graveerwerk doen en enigiets ontwerp wat hy gevra word om te maak.^e Hy sal saam met u vaardige ambagsmanne werk en saam met die ambagsmanne van my heer, u pa, Dawid. **15** Stuur asseblief die koring, gars, olie en wyn wat u aan u knegte belowe het.^f **16** Ons sal bome in die Li'banon-berge afkap,^g soveel as wat u nodig het. En ons sal die hout saambind en dit vir u as vlotte oor die see na Joppe^h stuur, en u kan dit dan na Jerusalem neem.”ⁱ

17 Salomo het toe al die uitlanders in Israel^j getel, net soos sy pa, Dawid, gedoen het,^k en daar was altesaam 153 600. **18** Hy het 70 000 van hulle as arbeiders* laat werk, 80 000 as klipkappers^l in die berge en 3 600 as opsieners om toesig oor die werkers te hou.^m

3 Salomo het toe die huis van Jehovah begin bouⁿ in Jerusalem op die berg Mori'a,^o waar Jehovah aan sy pa, Dawid, verskyn het.^p Dit was die plek wat Dawid gereedgemaak het op die dorsvloer van Ornan,^q die Je-

2:18 *Of “lasdraers”.

siet. **2** Hy het met die bouwerk begin op die tweede dag van die tweede maand, in die vierde jaar nadat hy koning geword het. **3** Die fondament wat Salomo vir die huis van die ware God gelê het, was 60 el lank en 20 el breed.^a Hierdie afmetings was volgens die ou el.* **4** Die voorportaal was 20 el breed (net so breed soos die huis), en die hoogte daarvan was 20 el.* Hy het die binnekant daarvan met suiwer goud oorgetrek.^b **5** En hy het die binnekant van die huis met panele van jenerwoud bedek, en daarna het hy dit met suiwer goud oorgetrek.^c Toe het hy dit met afbeeldings van palmbome^d en kettings versier.^e **6** Hy het dit ook met pragtige edelstene^f versier, en die goud^g wat hy gebruik het, was van Parwajim. **7** Hy het die binnekant van die huis, die dakbalke, die drumpels, die mure en die deure met goud oorgetrek.^h En hy het gerubs op die mure gegraveer.ⁱ

8 Hy het toe die Allerheiligste vertrek^{*j} gemaak. Dit was 20 el lank en 20 el breed. Die lengte daarvan was dieselfde as die breedte van die huis. En hy het dit met 600 talente^{''} suiwer goud oorgetrek.^k **9** Hy het 50 sikkels* goud gebruik vir die spykers, en hy het die dakvertreke met goud oorgetrek.

10 Toe het hy beelde van twee gerubs in die Allerheiligste vertrek* gemaak, en hy het hulle met goud oorgetrek.^l

3:3 *'n El was gelyk aan 44,5 cm, maar party dink dat die "ou el" na die lang el verwys, wat gelyk was aan 51,8 cm. Sien Aanh. B14. 3:4 *Party eertydse manuskripte sê "120", terwyl ander manuskripte en party vertalings "20 el" sê. 3:8, 10 *Lett. "huis". 3:8 ''n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. 3:9 *'n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

HFST. 3

a 1Kn 6:2

b 1Kn 6:3

c 1Kn 6:15, 22

d 1Kn 6:29

e 1Kn 6:21

f 1Kr 29:2, 8

g 1Kr 29:3, 4

h Eks 26:29

i Eks 26:1

1Kn 6:29

j Eks 26:33

1Kn 8:6

Heb 9:24

k 1Kn 6:20

l 1Kn 6:23-28

Tweede kol.

a 1Kn 8:6

1Kr 28:18

b Mt 27:51

Heb 10:19, 20

c Eks 26:31, 33

d 2Kn 25:13

e 1Kn 7:15-22

2Kn 25:17

2Kr 4:11-13

Jer 52:22, 23

HFST. 4

f Eks 38:1, 2

1Kn 8:22

11 Die lengte van die gerubs se vlerke^a was altesaam 20 el. Die een vlerk van die eerste gerub was vyf el lank en het aan die muur van die vertrek geraak, en sy ander vlerk was vyf el lank en het aan die een vlerk van die ander gerub geraak. **12** En die een vlerk van die ander gerub was vyf el lank en het aan die ander muur van die vertrek geraak. En sy ander vlerk was vyf el lank en het aan die een vlerk van die eerste gerub geraak. **13** Die vlerke van hierdie gerubs was uitgesprei en was altesaam 20 el lank. En hulle het op hulle voete gestaan met hulle gesigte na die voorste vertrek toe.*

14 Hy het ook die gordyn^{*b} van blou garing, pers wol, donkerrooi garing en goeie materiaal gemaak. En hy het dit met afbeeldings van gerubs versier.^c

15 Toe het hy twee pilare^d aan die voorkant van die huis gemaak. Elkeen was 35 el hoog, en die kopstuk bo-op elke pilaar was vyf el hoog.^e **16** Hy het kettings* gemaak en dit bo-op die pilare gesit, en hy het 100 granate gemaak en dit aan die kettings gehang. **17** Hy het die pilare aan die voorkant van die tempel opgerig, een aan die regterkant* en een aan die linkerkant.^f Hy het die een aan die regterkant Jagin[^] genoem, en die een aan die linkerkant Boas.^g

4 Toe het hy die koperaltaar^f gemaak. Dit was 20 el lank, 20 el breed en 10 el hoog.

3:13 *D.w.s. in die rigting van die Heilige. 3:14 *Of "voorhangsel". 3:16 *Of "kettings soos 'n halssnoer". 3:17 *Of "suidekant". ^{''}Of "noordekant". [^]Beteken "mag hy [d.w.s. Jehovah] stewig vestig". ^gBeteken moontlik "in krag".

2 Hy het die See^a van gegote metaal gemaak. Dit was rond, 10 el van die een rand tot by die ander rand, 5 el hoog en 30 el in omtrek.[#] 3 En daar was kalbasvormige versierings^c onder die rand, tien per el reg rondom die See. Daar was twee rye kalbasse, en hulle is saam met die See as een stuk gegiet. 4 Dit het op 12 bulle^d gestaan: 3 het noord gekyk, 3 het wes gekyk, 3 het suid gekyk en 3 het oos gekyk. Die See het op hulle gerus, en hulle agterkante was na die middel toe. 5 Die dikte daarvan was 'n handbreedte,^{*} en die rand was soos die rand van 'n beker gemaak en het soos 'n lelie gelyk. Dit kon 3 000 bat[#] hou.

6 Hy het ook tien komme gemaak waarin hulle die dinge gewas het wat vir die brandoffer gebruik is.^e Hulle het vyf aan die regterkant van die huis gesit, en vyf aan die linkerkant.^f Maar die priesters het die water in die See gebruik om mee te was.^g

7 Hy het toe tien goue lampstaanders^h volgens die instruksies gemaakⁱ en dit in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.^j

8 Hy het ook tien tafels gemaak en dit in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.^k En hy het 100 goue bakke gemaak.

9 Toe het hy die voorhof^l van die priesters,^m die groot voorhofⁿ en die deure vir die groot voorhof gemaak. En hy het die deure met koper oorgetrek. 10 En hy het die See aan die regterkant gesit, aan die suidoostekant.^o

4:2 *Of "waterbak". #Of "'n maatlyn van 30 el was nodig om daarom te gaan". 4:5 *Omtrent 7,4 cm. Sien Aanh. B14. #'n Bat was gelyk aan 22 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 4

- a Eks 30:20
Eks 38:8
b 1Kn 7:23-26
c 1Kn 6:18
d Jer 52:20
e Le 1:9
Le 9:14
f 1Kn 7:38, 39
g Eks 29:4
h Eks 37:17
i 1Kr 28:12, 15
j Eks 40:24
k 2Kr 4:19
l Eks 27:9
Le 6:16
m 1Kn 6:36
n 1Kn 7:12
o 1Kn 7:39

Tweede kol.

- a Eks 27:3
b 1Kn 7:40-46
c 2Kr 3:17
d 1Kn 7:17
e 1Kn 7:20
f Jer 52:22
g 1Kn 7:27, 38
h 1Kn 7:23, 25
i Eks 38:3
j 2Kr 2:13, 14
k Jos 13:27, 28
l 1Kn 7:47
1Kr 22:3, 14
Jer 52:20
m 2Kn 24:13
n Eks 37:25, 26
Op 8:3
o Eks 25:23, 24
2Kr 4:8
p 1Kn 7:48-50
q Eks 25:31, 37
r 1Kn 6:31, 32
s 1Kn 6:33-35

11 Hiram het ook die kanne, die grawe en die bakke gemaak.^a

En Hiram het die werk voltooi wat hy vir koning Salomo aan die huis van die ware God gedoen het:^b 12 die twee pilare^c en die bakvormige kopstukke wat bo-op die twee pilare was; die twee netwerke^d wat die twee pilare se bakvormige kopstukke bedek het; 13 die 400 granate^e vir die twee netwerke (daar was twee rye granate vir elke netwerk wat die twee pilare se bakvormige kopstukke bedek het);^f 14 die tien waentjies^{*} en die tien komme op die waentjies;^g 15 die See en die 12 bulle daaronder;^h 16 die kanne, die grawe, die vurkeⁱ en al die ander voorwerpe wat Hiram-Abi^{*j} van blink gevryfde koper vir koning Salomo gemaak het vir die huis van Jehovah. 17 Die koning het dit in kleivorms gegiet in die Jordaan-district, tussen Sukkot^k en Sereda. 18 Salomo het 'n groot hoeveelheid van al hierdie voorwerpe gemaak. Die gewig van die koper is nie bepaal nie.^l

19 Salomo het al die voorwerpe vir die huis van die ware God gemaak:^m die goue altaar,ⁿ die tafels^o vir die offerbrode,^p 20 die lampstaanders en hulle lampe van suiwer goud^q (wat volgens die vereistes voor die binneste vertrek moes brand), 21 die bloeisels, die lampe en die snuiters^{*} (van die suiwerste goud), 22 die blussers, die bakke, die bekere en die vuurbakke (van suiwer goud); en die ingang van die huis, die deure van die Allerheiligste^r en die deure van die huis van die tempel, wat met goud oorgetrek is.^s

4:14 *Of "waterwaentjies". 4:16 *Lett. "Hiram-Abiw", 'n wisselvorm van die naam. 4:21 *Of "tange".

5 Salomo het al die werk voltooi wat hy vir die huis van Jehovah moes doen.^a Daarna het Salomo die dinge gebring wat sy pa, Dawid, geheilig het,^b en hy het die silwer, die goud en al die voorwerpe in die skatkamers van die huis van die ware God gesit.^c **2** Salomo het in daardie tyd die ouer manne van Israel, al die stamhoofde en die hoofmanne van die vaderhuise van Israel bymekaar geroep. Hulle het na Jerusalem gegaan om die ark van die verbond van Jehovah uit die Stad van Dawid,^d dit wil sê Sion,^e te bring. **3** Al die manne van Israel het voor die koning bymekaar gekom tydens die fees* wat in die sewende maand gehou word.^f

4 Toe al die ouer manne van Israel daar was, het die Leviete die Ark opgetel.^g **5** Hulle het die Ark gedra, sowel as die tent van samekoms^h en al die heilige voorwerpe wat in die tent was. Die priesters en die Leviete* het dit gedra. **6** Koning Salomo en almal van Israel wat beveel is om na hom toe te kom, was voor die Ark. Daar is soveel skape en beeste geofferⁱ dat hulle nie getel kon word nie. **7** Toe het die priesters die ark van die verbond van Jehovah gebring na sy plek in die binneste vertrek van die huis, die Allerheiligste, en dit onder die vlerke van die gerubs gesit.^j **8** Die vlerke van die gerubs was oor die plek van die Ark uitgesprei. Die Ark en sy pale^k was dus onder die vlerke van die gerubs. **9** Die pale was so lank dat die punte van die pale gesien kon word vanuit die Heilige, voor die binneste vertrek, maar hulle kon nie van buite af

5:3 *D.w.s. die Huttefees. 5:5 *Of "Die Levitiese priesters".

HFST. 5

- a 1Kn 6:38
- b 1Kr 22:14
- c 1Kn 7:51
1Kr 26:26
- d 2Sa 6:12
2Kr 1:4
- e 1Kn 8:1, 2
Ps 2:6
- f Le 23:34
2Kr 7:8
- g Eks 25:14
Nu 4:15
1Kn 8:3-5
1Kr 15:2, 15
- h Eks 40:35
Nu 4:29, 31
- i 2Sa 6:13
- j 1Kn 6:20, 23
1Kn 8:6-9
- k Eks 25:14

Tweede kol.

- a Eks 34:1
Eks 40:20
- b Eks 19:5
Eks 24:7
- c Eks 19:1
- d 1Kr 24:1
- e Eks 19:10
Nu 8:21
- f 1Kr 15:16
- g 1Kr 6:31, 39
- h 1Kr 6:31, 33
- i 1Kr 16:41
1Kr 25:1, 6
1Kr 25:3
- j 1Kr 15:24
- k 1Kr 16:34
- l Eks 40:34, 35
1Kn 8:10, 11
- m 2Kr 7:1, 2
Ese 10:4
Op 21:23

HFST. 6

- n Eks 20:21
1Kn 8:12, 13
Ps 97:2
- o Ps 132:13, 14
- p 1Kn 8:14-21

gesien word nie. En hulle is tot vandag toe daar. **10** Daar was niks in die Ark nie behalwe die twee kliptablette wat Moses by Horeb daarin gesit het^a toe Jehovah met die Israëliete 'n verbond gemaak het^b terwyl hulle uit Egipte getrek het.^c

11 Die priesters het toe uit die heiligdom uitgekom. (Al die priesters wat daar was, ongeag in watter afdeling hulle was,^d het hulle self geheilig).^e **12** Al die Levitiese sangers^f wat gelei is deur Asaf,^g Heman,^h Jeduⁱ en deur hulle seuns en broers, het klere aangehad wat van goeie materiaal gemaak was. Hulle het simbale, harpe en ander snaarinstrumente gehad, en hulle het oos van die altaar gestaan. En 120 priesters het by hulle gestaan en op trompette geblaas.^j **13** Die trompetblasers en die sangers het Jehovah in eenheid geloof en gedank. Hulle het met die trompette, simbale en ander musiekinstrumente musiek gemaak om Jehovah te loof, "want hy is goed. Sy lojale liefde duur vir ewig."^k Op daardie oomblik het 'n wolk die huis van Jehovah gevul.^l **14** En as gevolg van die wolk kon die priesters nie hulle diens verrig nie, want die heerlijkheid van Jehovah het die huis van die ware God gevul.^m

6 Toe het Salomo gesê: "Jehovah, u het gesê dat u in digte, donker wolke sou woon.ⁿ **2** Nou het ek 'n glorieryke huis vir u gebou, 'n vaste plek waar u vir ewig kan woon."^o

3 Toe het die koning omgedraai en gekyk na al die Israëliete wat daar gestaan het, en hy het hulle geseën.^p **4** Hy het gesê: "Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word, die Een wat vervul het wat hy met sy eie mond aan my pa, Dawid, belowe

het toe hy gesê het: **5** 'Van die dag af dat ek my volk uit Egipte uitgelei het, het ek nooit uit die stamme van Israel 'n stad gekies waarin 'n huis gebou moet word waar my naam geëer sou word nie.^a Ek het ook nie 'n man uitgekies om leier oor my volk Israel te word nie. **6** Maar ek het Jerusalem gekies^b sodat my naam daar geëer sal word, en ek het Dawid gekies om oor my volk Israel te wees.^c **7** En dit was my pa, Dawid, se hartsbegeerte om 'n huis vir die naam van Jehovah, die God van Israel, te bou.^d **8** Maar Jehovah het vir my pa, Dawid, gesê: 'Dit is jou hartsbegeerte om 'n huis vir my naam te bou, en dit is goed dat jy dit wil doen. **9** Maar jy sal nie die huis bou nie. Jou seun wat vir jou gebore sal word, is die een wat die huis vir my naam sal bou.'^e **10** Jehovah het sy belofte gehou, want ek het my pa, Dawid, opgevolg en ek sit op die troon van Israel,^f net soos Jehovah belowe het.^g En ek het die huis vir die naam van Jehovah, die God van Israel, gebou, **11** en ek het die Ark waarin die verbond is^h wat Jehovah met die Israëliete gemaak het, daar gesit."

12 Toe het hy voor die altaar van Jehovah en voor die hele gemeente van Israel gaan staan, en hy het sy hande uitgestrek.ⁱ **13** (Salomo het 'n koperplaatform gemaak en dit toe in die middel van die voorhof gesit.^j Dit was vyf el* lank, vyf el breed en drie el hoog. En hy het daarop gestaan.) Hy het voor die hele gemeente van Israel op sy knieë gegaan, sy hande na die hemel uitgestrek^k **14** en gesê: "O Jehovah, die God van Israel, daar is geen God soos u in die

6:13 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 6

a De 12:5, 6

b Ps 48:1

c 2Sa 7:8
1Kr 28:4d 2Sa 7:2
1Kn 5:3

e 1Kr 17:4

f 1Kr 28:5
1Kr 29:23

g 1Kr 17:11

h Eks 40:20
1Kn 8:9

i 1Kn 8:22

j 1Kn 6:36

k 1Kn 8:54

Tweede kol.

a De 7:9
1Kn 8:23-26

b 1Kn 3:6

c 2Sa 7:12, 13
1Kr 22:10

d Ps 132:12

e 1Kn 2:4

f Han 7:48

g 2Kr 2:6
Jes 40:12
Han 17:24h 1Kn 8:27-30
Jes 66:1

i De 26:2

j Da 6:10

k 2Kn 19:20
2Kr 30:27l 2Kr 7:12-14
Mi 7:18

hemel of op die aarde nie, wat die verbond hou en lojale liefde betoon aan u knegte wat u met hulle hele hart dien.^a **15** U het u belofte aan my pa, u kneg Dawid, gehou.^b U het die belofte met u eie mond gemaak, en vandag het u dit nagekom.^c **16** En nou, o Jehovah, die God van Israel, hou die belofte wat u aan my pa, u kneg Dawid, gemaak het toe u gesê het: 'Daar sal altyd voor my 'n man van jou geslagslyn wees wat op die troon van Israel sit, solank jou seuns seker maak dat hulle my wet volg,^d net soos jy gedoen het.'^e **17** En nou, o Jehovah, die God van Israel, vervul asseblief die belofte wat u aan u kneg Dawid gemaak het.

18 "Maar sal God werklik by mense op die aarde woon?^f Die hemel, selfs die hoogste hemele, kan u nie bevat nie.^g Wat nog te sê hierdie huis wat ek gebou het!^h **19** Skenk asseblief aandag aan die gebed van u kneg en aan my versoek om goedkeuring, o Jehovah my God, en luister na die geroep om hulp en na die gebed wat u kneg tot u rig. **20** Hou asseblief dag en nag 'n wakende oog oor hierdie huis. U het gesê dat u u naam hier sal vestig.ⁱ En luister na die gebed wat u kneg in die rigting van hierdie plek bid. **21** En luister na u kneg se smeking om hulp en na die smeking van u volk Israel wanneer hulle in die rigting van hierdie plek bid,^j en mag u vanuit u woonplek in die hemel hoor.^k Mag u hoor en vergewe.^l

22 "As 'n man teen sy medemens sondig en verplig is om 'n eed af te lê* en hy onder die

6:22 *Of "en sy medemens hom 'n vloek oplê", d.w.s. 'n eed wat met 'n vloek gepaardgaan indien die persoon valslik sweer of nie die eed hou nie.

eed kom en hy voor u altaar in hierdie huis kom terwyl hy onder die eed is,^a **23** mag u dan vanuit die hemel hoor en optree en u knegte oordeel deur die goddelose te straf vir wat hy gedoen het^b en deur die regverdige onskuldig* te verklaar en hom te beloon vir sy regverdigheid.^c

24 "En as u volk Israel deur hulle vyande verslaan word omdat hulle aangehou het om teen u te sondig^d en hulle dan na u terugkeer en u naam verheerlik^e en tot u bid^f en u om genade smee in hierdie huis,^g **25** mag u dan vanuit die hemel hoor.^h Vergewe dan die sonde van u volk Israel en bring hulle terug na die land wat u aan hulle en hulle voorvaders gegee het.ⁱ

26 "Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie^j omdat hulle aangehou het om teen u te sondig^k en hulle dan in die rigting van hierdie plek bid en u naam verheerlik en ophou met hulle sonde omdat u hulle verneder* het,^l **27** mag u dan vanuit die hemel luister en die sonde vergeve van u knegte, u volk Israel. Leer hulle wat die goeie weg is wat hulle moet volg,^m en laat dit asseblief reënⁿ op u land wat u aan u volk as 'n erfdeel gegee het.

28 "As daar hongersnood in die land ontstaan^o of as 'n vreeslike siekte,^p verskroeiende wind,^q 'n swamsiekte^q of swermers sprinkane^r die land tref; of as hulle vyande hulle in enige van die stede van die land aanval^s of as enige ander soort plaag of siekte uitbreek,^t **29** en iemand of u hele volk Israel 'n gebed^u of versoek om genade^v

HFST. 6

- a 1Kn 8:31, 32
- b Job 34:11
- c Jes 3:10, 11
Ese 18:20
- d Le 26:14, 17
Jos 7:8, 11
Rig 2:14
- e Da 9:3, 19
- f Esr 9:5
- g 1Kn 8:33, 34
- h Jes 57:15
- i Ps 106:47
- j Le 26:19
De 28:23
- k Ese 14:13
- l 1Kn 8:35, 36
- m Jes 30:20, 21
Jes 54:13
- n 1Kn 18:1
- o Rut 1:1
2Kn 6:25
- p Le 26:14, 16
De 28:21, 22
- q Am 4:9
Hag 2:17
- r De 28:38
Jl 1:4
- s 2Kr 12:2
2Kr 32:1
- t 1Kn 8:37-40
u 2Kr 20:5, 6
v 2Kr 33:13

Tweede kol.

- a Spr 14:10
- b Da 6:10
- c Jes 63:15
- d Ps 130:4
- e 1Sa 16:7
1Kr 28:9
Jer 11:20
Jer 17:10
- f Eks 12:48
Rut 1:16
2Kn 5:15
Jes 56:6, 7
Han 8:27
- g 1Kn 8:41-43
- h Ps 22:27
Ps 46:10
- i Nu 31:2
Jos 8:1
Rig 1:1, 2
1Sa 15:3
- j 2Kr 14:11
2Kr 20:5, 6
- k 1Kn 8:44, 45
- l Jes 37:36
- m Ps 130:3
Pr 7:20
Ro 3:23
- n Le 26:34
1Kn 8:46-50
Da 9:7

tot u rig, wat dit ook al mag wees (want elkeen weet watter probleem en watter pyn hy ondervind),^a en hulle hulle hande in die rigting van hierdie huis uitstrek,^b **30** mag u dan hoor vanuit die hemel, u woonplek.^c En mag u vergewe^d en elkeen beloon volgens wat hy verdien, want u ken elkeen se hart (net u ken werklik die hart van die mens).^e **31** Dan sal hulle u vrees deur u weë te volg solank as wat hulle in die land woon wat u aan ons voorvaders gegee het.

32 "En wat die uitlander betref wat nie deel is van u volk Israel nie en wat weens u groot naam*^f en u magtige hand en u uitgestrekte arm uit 'n verland kom en wat in die rigting van hierdie huis bid,^g **33** mag u luister vanuit die hemel, u woonplek. En mag u alles doen wat die uitlander u vra, sodat al die volke van die aarde u naam kan ken^h en u kan vrees, net soos u volk Israel, en sodat hulle kan weet dat u naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het.

34 "As u u volk stuur om oorlog te maak teen hulle vyande, waar dit ook al mag wees,ⁱ en hulle tot u bid^j in die rigting van hierdie stad wat u uitgekies het en in die rigting van die huis wat ek vir u naam gebou het,^k **35** moet u asseblief hulle gebed en hulle versoek om genade vanuit die hemel hoor en hulle help.^l

36 "As hulle teen u sondig (want daar is geen mens wat nie sondig nie),^m en u vir hulle woedend is en hulle aan hulle vyande oorlewer, en as hulle vyande hulle as gevanges wegneem na 'n land, het sy ver of naby,ⁿ **37** en hulle

6:23 *Lett. "regverdig". 6:26 *Of "laat swaarkry".

6:32 *Of "reputasie".

dan tot besinning kom in die land waarheen hulle as gevangenes weggenem is en hulle na u terugkeer en u om genade smeek in die land waar hulle gevangenes is en sê: 'Ons het gesondig en verkeerd gedoen, ons het goddeloos opgetree,'^a **38** en hulle met hulle hele hart^b en hulle hele siel* na u terugkeer in die land waar hulle gevangenes is^c en hulle tot u bid in die rigting van hulle land wat u aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat u uitgekies het^d en die huis wat ek vir u naam gebou het, **39** moet u asseblief hulle gebed en hulle versoek om genade hoor vanuit die hemel, u woonplek, en hulle help^e en u volk vergewe wat teen u gesondig het.

40 "O my God, mag u aandag skenk en luister* wanneer mense hier^f bid.^f **41** O Jehovah God, mag u en die Ark, die teken van u krag, in hierdie plek rus.^g En Jehovah God, laat u priesters geklee wees met redding, en laat u lojales bly wees oor u goedheid.^h **42** O Jehovah God, moenie u gesaliede/verwerp nie. Dink aan u lojale liefde vir u kneg Dawid."ⁱ

7 Nadat Salomo gebid het,^k het vuur uit die hemel gekomⁱ en die brandoffer en die offerandes verteer, en Jehovah se heerlikheid het die huis gevul.^m **2** Die priesters kon nie in die huis van Jehovah ingaan nie omdat Jehovah se heerlikheid die huis van Jehovah gevul het.ⁿ **3** En al die Israëliete het gesien hoe die vuur uit die hemel kom, en hulle het die heerlikheid van Jehovah bo die huis gesien. Hulle het op die vloer gekniel en neerge-

6:38 *Sien Woordelys. **6:40** *Let. "mag u oë oop wees en u ore aandag skenk". *Of "aangaande hierdie plek".

HFST. 6

- a Le 26:40
Esr 9:6
Ne 1:6
Ps 106:6
Da 9:5
- b 1Sa 7:3
- c De 30:1-3
Da 9:2, 3
- d Da 6:10
- e Jer 51:36, 37
- f 2Kr 7:15
2Kr 16:9
Ps 65:2
Jes 37:17
- g 1Kr 28:2
- h Ps 65:4
Ps 132:8-10
- i 1Kn 1:34
Ps 18:50
- j Han 13:34

HFST. 7

- k 1Kn 8:54
- l Le 9:24
1Kr 21:26
- m Eks 40:34, 35
- n 1Kn 8:11

Tweede kol.

- a 1Kn 8:62, 63
- b Esr 6:16
- c 1Kr 25:7
2Kr 5:11, 12
- d 2Kr 5:13
- e Le 1:3
- f Le 2:1
- g Le 4:8-10
1Kn 8:64-66
- h 2Kr 4:1
- i Le 23:34
De 16:13
- j Nu 34:2, 5, 8
- k Le 23:36

buig en Jehovah gedank, "want hy is goed. Sy lojale liefde duur vir ewig."

4 Die koning en die hele volk het offerandes aan Jehovah gebring.^a **5** Koning Salomo het 22 000 beeste en 120 000 skape geoffer. So het die koning en die hele volk die huis van die ware God ingewy.^b **6** Die priesters en die Leviete het op hulle pos gestaan, en die Leviete het instrumente gehad waarmee hulle die sangers begelei het wat vir Jehovah gesing het.^c (Koning Dawid het hierdie instrumente gemaak om Jehovah mee te dank wanneer hy God saam met hulle* geloof het, "want sy lojale liefde duur vir ewig".) En die priesters het oorkant hulle gestaan en hard op die trompette geblaas^d terwyl al die Israëliete gestaan het.

7 Salomo het toe die middel van die voorhof geheilig wat voor die huis van Jehovah was, omdat hy die brandoffers^e en die vetstukke van die vrede-offers* daar moes offer, want daar was te veel brandoffers, graanoffers^f en vetstukke^g vir die koperaltaar^h wat Salomo gemaak het. **8** Toe het Salomo saam met die hele Israel die fees sewe dae lank gehouⁱ - 'n baie groot skare het gekom uit die gebied wat gestrek het van Lebo-Hamat* af tot by die Vallei^j van Egipte.^j **9** Hulle het die toewyding* van die altaar sewe dae lank gehou, en die fees ook sewe dae lank, en op die agtste dag^k het hulle 'n heilige vergadering gehou.^k **10** Op die 23ste dag van die sewende

7:6 *Verwys moontlik na die Leviete. **7:7** *Of "gemeenskapsoffers". **7:8** *Of "die ingang van Hamat". *Of "Wadi". Sien Woordelys. **7:9** *Of "inwyding". *Die dag ná die fees, d.w.s. die 15de dag.

maand het hy die volk huis toe gestuur, en hulle was vreugdevol^a en vrolik van hart as gevolg van Jehovah se goedheid teenoor Dawid, Salomo en sy volk Israel.^b

11 So het Salomo die huis van Jehovah en die paleis van die koning voltooi.^c Salomo het alles gedoen wat hy beplan het om te doen vir die huis van Jehovah en vir sy eie paleis.^d

12 Jehovah het toe gedurende die nag aan Salomo verskyn^e en vir hom gesê: "Ek het jou gebed gehoor, en ek het hierdie plek vir my gekies as 'n huis van offerande.^f **13** As ek die hemel toesluit en daar geen reën is nie en as ek die sprinkane beveel om die land kaal te vreet en as ek my volk met 'n vreeslike siekte tref, **14** en my volk, oor wie my naam uitgeroep is,^g nederig berou toon^h en bid en my goedkeuring soek en ophou om slegte dinge te doen,ⁱ dan sal ek vanuit die hemel hoor en hulle sonde vergewe, en ek sal hulle land genees.^j **15** Nou sal ek aandag skenk en luister* wanneer mense hier bid.^k **16** En nou het ek hierdie huis gekies en geheilig sodat my naam vir altyd daar gevestig kan wees,^l en my oë en my hart sal altyd daar wees.^m

17 "En as jy my dien, net soos jou pa, Dawid, my gediën het, deur alles te doen wat ek jou beveel het, en as jy my wetsvoorskrifte en my oordele gehoorsaam,ⁿ **18** dan sal ek die troon van jou koningskap vestig,^o net soos ek in 'n verbond met jou pa, Dawid,^p gesê het: 'Daar sal altyd 'n man van jou geslagslyn wees wat oor Israel regeer.'^q **19** Maar as julle ophou om my te volg en my

7:15 *Lett. "sal my oë oop wees en my ore aandag skenk".

HFST. 7

- a De 16:15
- b 2Kr 6:41
- c Pr 2:4
- d 1Kn 9:1-3
- e 2Kr 1:7
- f De 12:5, 6
Ps 78:68
- g Jes 43:10
- h Le 26:41
2Kr 33:12, 13
- i Jes 55:7
- j 2Kr 6:39
- k 2Kr 6:40
- l De 12:21
- m 2Kr 6:20
- n 1Kn 9:4, 5
- o 2Sa 7:12, 13
- p Ps 89:28, 29
- q 1Kn 2:4

Tweede kol.

- a Eks 20:5
1Kn 9:6-9
- b De 4:25, 26
2Kn 17:20
- c De 28:37
Jer 24:9
- d 2Kr 29:8
Da 9:12
- e De 29:24, 25
2Kn 25:8, 9
Jer 22:8, 9
- f 2Kr 15:2
- g Eks 12:51
- h Jes 2:8
Jer 2:11
- i 2Kr 36:17

HFST. 8

- j 1Kn 6:37, 38
1Kn 7:1
1Kn 9:10
- k 1Kn 5:1
- l 1Kn 9:17-19
- m 2Kn 14:28
- n Jos 16:5
- o Jos 16:1, 3
1Kr 7:24
- p Jos 19:44, 48
- q 1Kn 4:26

wetsbepalings en my gebooe verwerp wat ek aan julle gegee het en as julle ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig,^a **20** dan sal ek Israel uitruk uit my land wat ek hulle gegee het,^b en ek sal hierdie huis verwerp wat ek vir my naam geheilig het, en ek sal dit iets maak waarop al die volke neersien* en iets waarmee hulle spot.^c **21** En hierdie huis sal verwoes word. Elkeen wat daar verbygaan, sal verbaas wees^d en vra: 'Hoekom het Jehovah dit aan hierdie land en hierdie huis gedoen?'^e **22** Dan sal hulle sê: 'Dit is omdat hulle Jehovah verlaat het,^f die God van hulle voorvaders, wat hulle uit Egipte uitgelei het,^g en omdat hulle ander gode gekies en voor hulle neergebuig en hulle gediën het.^h Dit is hoekom hy al hierdie rampspoed oor hulle gebring het.'ⁱ

8 Salomo het die huis van Jehovah en sy eie paleis binne 20 jaar gebou.^j **2** Daarna het Salomo die stede herbou wat Hiram^k aan hom gegee het en Israëliete daar laat woon. **3** Salomo het ook na Hamat-Soba gegaan en dit ingeneem. **4** Toe het hy Tadmor in die wildernis versterk,* sowel as al die voorraadstede^l wat hy in Hamat^m gebou het. **5** Hy het ook Bo-Bet-Horonⁿ en Onder-Bet-Horon^o opgebou, versterkte stede met mure, poorte en grensels, **6** sowel as Ba'alat,^p al Salomo se voorraadstede, al die stede vir die strydwaens,^q die stede vir die perderuiters. Salomo het al die bouwerk voltooi wat hy in Jerusalem, in die Li'banon en in die hele land waaroor hy regeer het, wou doen.

7:20 *Lett. "n spreekwoord onder die volke maak". **8:4** *Of "herbou".

7 Wat al die mense betref wat oorgebly het van die Hetiete, die Amoriete, die Perissiete, die Hewiete en die Jebusiete,^a wat nie deel was van Israel nie^b **8** – dit wil sê die nakomlinge van hierdie volke wat in die land oorgebly het en wat nie deur die Israeliete uitgeroei is nie^c – hulle is deur Salomo opgeroep om vir hom te werk, tot vandag toe.^d **9** Maar Salomo het die Israeliete nie slawe gemaak nie,^e want hulle was sy vegters, die hoofde van sy offisiere en die hoofde van sy strydswadrywers en perderuiters.^f **10** Daar was 250 hoofde oor koning Salomo se beampptes. Hulle was die voormanne.^g

11 Salomo het Faraó se dogter^h uit die Stad van Dawid laat trek na die huis wat hy vir haar gebou het,ⁱ want hy het gesê: “Hoewel sy my vrou is, moet sy nie in die huis van koning Dawid van Israel woon nie, want die plekke waar die Ark van Jehovah gestaan het, is heilig.”^j

12 Toe het Salomo brandoffers^k aan Jehovah gebring op die altaar^l van Jehovah wat hy voor die portaal^m gebou het. **13** Hy het die daaglikse roetine gevolg, en hy het offerandes geoffer volgens wat Moses voorgeskryf het vir die Sabbatte,ⁿ die nuwemane^o en die drie jaarlikse feeste^p – die Fees van die Ongesuurde Brode,^q die Fees van die Weker en die Huttefees.^s **14** Hy het ook die dienste van die afdelings van die priesters^t aan hulle toegewys soos sy pa, Dawid, beveel het. Hy het die pligte van die Leviete aan hulle toegewys, om God te loof^u en om voor die priesters te dien, volgens die daaglikse roetine. En hy het die verskillende poorte

8:13 *Of “Fees van Tydelike Skuilings”.

HFST. 8

- a Ge 15:18-21
Nu 13:29
- b 1Kn 9:20-23
- c Jos 15:63
Jos 17:12
- d Jos 16:10
2Kr 2:17,18
- e Le 25:39
- f 1Sa 8:11, 12
- g 1Kn 5:16
1Kn 9:23
2Kr 2:18
- h 1Kn 3:1
- i 1Kn 7:8
1Kn 9:24
- j Eks 29:43
- k Le 1:3
- l 2Kr 4:1
- m 1Kn 6:3
- n Nu 28:9
- o Nu 28:11-15
- p De 16:16
- q Le 23:6
- r Le 23:15, 16
- s Le 23:34
- t 1Kr 24:1
- u 1Kr 6:31, 32
1Kr 15:16
1Kr 16:37, 42
1Kr 25:1

Tweede kol.

- a 1Kr 26:1
- b 1Kn 6:1
- c 1Kn 7:51
- d Nu 33:1, 35
1Kn 22:48
- e De 2:8
2Kn 14:21, 22
2Kn 16:6
- f 1Kn 9:26-28
- g 2Sa 5:11
- h 1Kn 22:48
Ps 45:9
- i 1Kn 10:22
- j Pr 2:8

HFST. 9

- k Mt 12:42
Lu 11:31
- l Ps 72:15
- m 1Kn 10:1-3
- n 1Kn 3:28
Pr 12:9
- o 1Kn 10:4-9
- p 1Kn 4:22, 23

aan die poortwagters in hulle afdelings toegewys,^a want dit was wat Dawid, die man van die ware God, beveel het. **15** En hulle het streng gebly by die koning se bevele aan die priesters en die Leviete en by die bevele in verband met die stoorkamers. **16** Salomo se werk was dus goed georganiseer,^{*} van die dag dat die fondament van die huis van Jehovah gelê is^b totdat dit voltooi is. So is die huis van Jehovah voltooi.^c

17 Toe het Salomo na E'se-on-Ge'ber^d en na Elot^e aan die kus van die land Edom gegaan.^f

18 Hiram^g het deur middel van sy eie knegte vir hom skepe en ervare seemanne gestuur. Hulle het saam met Salomo se knegte na Ofir^h gegaan, en hulle het 450 talente^{*} goudⁱ daar gaan haal en dit na koning Salomo toe gebring.^j

9 Die koningin van Skeba^k het die berig oor Salomo gehoor, en daarom het sy na Jerusalem gegaan om Salomo met moeilike vrae^{*} te toets. Sy het 'n groot groep dienaars gehad, en kamele wat balsemolie en baie goud^l en edelstene dra. Sy het na Salomo toe gegaan en hom gevra oor alles wat sy wou weet.^m **2** Salomo het toe al haar vrae beantwoord. Daar was niks wat vir Salomo te moeilik was^{*} en wat hy nie aan haar kon verduidelik nie.

3 Toe die koningin van Skeba sien hoe wys Salomo isⁿ en toe sy die huis sien wat hy gebou het,^o **4** sowel as die kos van sy tafel,^p hoe sy knegte aan tafel gesit het, die bediening en kleredrag van sy tafelbediendes, sy skinkers en hulle klere-

8:16 *Of “goed beplan; volledig uitgevoer”. **8:18** *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. **9:1** *Of “met raaisels”. **9:2** *Lett. “verborge was”.

drag en die brandoffers wat hy gereeld by die huis van Jehovah geoffer het,^a het dit haar asem weggeslaan.* **5** Sy het toe vir die koning gesê: “Die berig wat ek in my land oor u prestasies* en oor u wysheid gehoor het, is waar. **6** Maar ek het nie die berigte geglo totdat ek gekom het en alles met my eie oë gesien het nie.^b En hulle het my nie eers die helfte vertel oor u groot wysheid nie!^c U het alles wat ek gehoor het, ver oortref.^d **7** Gelukkig is u manne en gelukkig is u knegte wat heeltyd voor u staan en na u wysheid luister! **8** Mag Jehovah u God geloof word, wat lief is vir u en u op sy troon geplaas het as koning vir Jehovah u God. As gevolg van God se liefde vir Israel^e en omdat hy dit vir ewig wil laat bestaan, het hy u as koning oor Israel aangestel om met regverdigheid te oordeel.”

9 Toe het sy vir die koning 120 talente* goud^f en baie balsemolie en edelstene gegee. Nooit weer is daar soveel balsemolie gebring as wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het nie.^g

10 En die knegte van Hiram en die knegte van Salomo wat goud uit Ofir gebring het,^h het ook sandelhout en edelstene gebring.ⁱ **11** Van die sandelhout het die koning trappe vir die huis van Jehovah^j en vir die koning se paleis gemaak,^k sowel as harpe en ander snaarinstrumente vir die sangers.^l So iets was nooit tevore in die land van Juda gesien nie.

12 En koning Salomo het vir die koningin van Skeba alles gegee wat sy wou hê en waarvoor

9:4 *Lett. “was daar nie meer gees in haar nie”. 9:5 *Of “woorde”. 9:9 *’n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 9

a 2Kr 8:12, 13

b Lu 11:31

c Pr 1:16

d 1Kn 4:31, 34
2Kr 1:11, 12

e 2Kr 2:11

f Ps 72:10

g 1Kn 10:10

h 1Kn 9:27, 28
1Kn 10:22
2Kr 8:18

i 1Kn 10:11, 12

j 1Kn 6:8

k 1Kn 7:1

l 1Kr 25:1
Ps 92:3

Tweede kol.

a 1Kn 10:13

b 1Kn 10:14, 15
2Kr 1:15
Ps 68:29
Ps 72:15

c Ps 72:10

d 2Kr 12:9

e 1Kn 10:16, 17

f 1Kn 7:2

g 1Kn 10:18-20

h Ge 49:9

i Nu 23:24

j 1Kn 10:21, 22
1Kn 10:27

sy gevra het, meer as* wat sy vir die koning gebring het. Toe het sy saam met haar knegte na haar land teruggegaan.^a

13 Salomo se jaarlikse inkomste was 666 talente goud,^b **14** buiten die goud en silwer wat die koopmanne, die handelaars, al die konings van die Arabiere en die goewerneurs van die land vir Salomo gebring het.^c

15 Koning Salomo het 200 groot skilde van goud* gemaak^d (elke skild is met 600 sikfels* goud* bedek),^e **16** asook 300 klein skilde* van goud* (elke klein skild is met drie minas^f goud bedek). Toe het die koning dit in die Huis van die Li’banonwoud^f gesit.

17 Die koning het ook ’n groot ivoortroon gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.^g

18 Daar was ses trappe na die troon toe, en daar was ’n goue voetbank wat vas was aan die troon. En daar was armleunings aan albei kante van die sitplek, en twee leeus^h het langs die armleunings gestaan. **19** En 12 leeusⁱ het op die ses trappe gestaan, een aan elke kant van die ses trappe. Geen ander koninkryk het so iets gehad nie.

20 Al die drinkhouders van koning Salomo was van goud, en al die voorwerpe van die Huis van die Li’banonwoud was van suiwer goud. Niks was van silwer gemaak nie. In Salomo se tyd is silwer as niks beskou nie,^j **21** want die koning se skepe het

9:12 *Of moontlik “buiten geskenke wat ooreengestem het met die waarde van”. 9:15, 16 *Goud wat met ’n ander metaal gemeng is. 9:15 *’n Sikkkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. 9:16 *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. ^f’n Mina in die Hebreuse Geskrifte was gelyk aan 570 g. Sien Aanh. B14.

saam met die knegte van Hiram^a na Tarsis^b gevaar, en die Tarsiskepe het elke drie jaar teruggekeer, gelaai met goud en silwer, ivoor,^c ape en poue.

22 Koning Salomo was ryker en wyser as al die ander konings van die aarde.^d **23** En die konings van regoor die aarde wou Salomo besoek om die wysheid te hoor wat die ware God in sy hart geplaas het.^e **24** Hulle het elkeen 'n geskenk gebring – silwervoorwerpe, goue voorwerpe, klere,^f wapens, balsamolie, perde en muile. Dit het jaar ná jaar gebeur. **25** En Salomo het 4 000 stalle vir sy perde en strydwaens gehad, en hy het 12 000 perde* gehad.^g Hy het hulle in die strydwastede en naby die koning in Jerusalem gehou.^h **26** En hy het regeer oor al die konings van die Rivier* af tot by die land van die Filistyne en tot by die grens van Egipte.ⁱ **27** Die koning het die silwer in Jerusalem so volop soos die klippe gemaak, en sederhout so volop soos die wilde-veybome in die Sjeve'la.^j **28** En hulle het vir Salomo perde uit Egipte^k en uit al die ander lande gebring.

29 Die res van die geskiedenis van Salomo^l is van begin tot einde opgeteken in die geskrifte van die profeet Natan,^m in die profesie van Ahi'a,ⁿ die Siloniet, en in die siener Iddo se verslag van visioene^o oor Jero'beam,^p die seun van Nebat. **30** Salomo het 40 jaar lank in Jerusalem oor die hele Israel regeer. **31** Toe het Salomo gesterf.* Hulle het hom in die Stad van Dawid, sy pa,^q begrawe, en sy seun Reha'beam het in sy plek koning geword.^r

9:25 *Of "perderuiters". 9:26 *Die Eufraatrivier. 9:31 *Lett. "is Salomo by sy vaders neergelê".

HFST. 9

a 1Kn 9:27

b Ps 72:10
Jon 1:3

c 1Kn 10:18

d 1Kn 3:12, 13
1Kn 4:29
1Kn 10:23-25e 1Kn 3:28
1Kn 4:34
2Kr 1:12
Spr 2:6

f Mt 6:29

g De 17:16
1Kn 4:26

h 1Kn 10:26

i 1Kn 4:21

j 1Kn 10:27
1Kr 27:28k 1Kn 10:28
2Kr 1:16

l 1Kn 11:41-43

m 2Sa 7:2
2Sa 12:1
1Kn 1:8
1Kr 29:29n 1Kn 11:30, 31
1Kn 14:2
1Kn 14:6, 10o 2Kr 12:15
2Kr 13:22

p 1Kn 11:26

q 2Sa 5:9
1Kn 2:10

r 1Kn 14:21

Tweede kol.

HFST. 10

a Jos 20:7
Jos 24:1
Rig 9:1

b 1Kn 12:1-4

c 1Kn 11:28

d 1Kn 11:40

e 1Sa 8:11-18
1Kn 4:7

f 1Kn 12:5-7

g 1Kn 12:8-11

10 Reha'beam het na Sigem^a gegaan, want die hele Israel het in Sigem bymekaargekom om hom koning te maak.^b

2 Toe Jero'beam,^c die seun van Nebat, daarvan hoor, het hy van Egipte af teruggekom. (Hy was nog in Egipte, want hy het vir koning Salomo gevlug.)^d **3** Toe het hulle hom laat roep, en Jero'beam en die hele Israel het na Reha'beam gegaan en gesê: **4** "U pa het ons juk swaar gemaak.^e Maar as u die swaar werklas van u pa en die swaar* juk wat hy op ons geplaas het, ligter maak, sal ons u dien."

5 Hy het toe vir hulle gesê: "Kom oor drie dae na my toe terug." Toe het die volk van hom af weggegaan.^f **6** Koning Reha'beam het die ouer mans* wat sy pa, Salomo, gedurende sy leeftyd gedien het, geraadpleeg en vir hulle gevra: "Wat sal julle sê? Hoe moet ek hierdie volk antwoord?" **7** Hulle het hom geantwoord: "As u goed is vir hierdie volk en hulle tevrede stel en vir hulle die antwoord gee wat hulle wil hê, sal hulle altyd u knegte wees."

8 Maar hy het die raad van die ouer mans* verwerp, en hy het die jong mans geraadpleeg wat saam met hom grootgeword het en wat nou sy dienaars was.^g **9** Hy het vir hulle gevra: "Wat sal julle sê? Hoe moet ons hierdie volk antwoord wat vir my gesê het dat ek die juk wat my pa op hulle geplaas het, ligter moet maak?" **10** Die jong mans wat saam met hom grootgeword het, het vir hom gesê: "Vir die volk wat vir u gesê het: 'U pa het ons juk swaar gemaak, maar u moet dit vir ons ligter maak,' moet u die volgende sê: 'My pinkie sal dikker as my pa se heupe wees.

10:4 *Of "onderdrukkende". 10:6, 8 *Of "die ouermanne".

11 My pa het 'n swaar juk op julle geplaas, maar ek sal julle juk nog swaarder maak. My pa het julle met die sweep gestraf, maar ek sal julle met die gésel* straf."

12 Jero'beam en die hele volk het op die derde dag na Reha'beam toe gegaan, want die koning het gesê: "Kom oor drie dae na my toe terug."^a **13** Maar die koning het hulle 'n harde antwoord gegee. Koning Reha'beam het die raad van die ouer mans* dus verwerp. **14** Hy het die raad van die jong mans gevolg en vir die volk gesê: "Ek sal julle juk swaarder maak, en ek sal dit nog erger maak. My pa het julle met die sweep gestraf, maar ek sal julle met die gésel* straf."

15 Die koning het nie na die volk geluister nie, want die ware God het dinge so laat verloop.^b Dit was sodat die woorde vervul kon word wat Jehovah deur middel van Ahi'a,^c die Siloniet, vir Jero'beam, die seun van Nebat, gesê het.

16 Omdat die koning nie na die Israëliete geluister het nie, het hulle vir die koning gesê: "Wat het ons met Dawid te doen? Ons het geen erfdeel saam met die seun van Isai nie. Gaan na julle gode toe, o Israel! Sorg nou vir jou eie huis, o Dawid."^d Toe het al die Israëliete na hulle huise* gegaan.^e

17 Maar Reha'beam het nog steeds oor die Israëliete regeer wat in die stede van Juda gewoon het.^f

18 Koning Reha'beam het Hado'ram,^g wat oor die mense was wat opgeroep is om vir die koning te werk, toe na die Israëliete gestuur, maar hulle het

10:11, 14 *Sien Woordelys. **10:13** *Of "die ouermanne". **10:16** *Lett. "ten-te".

HFST. 10
a 1Kn 12:12-15

b De 2:30
2Sa 17:14

c 1Kn 11:29-31

d 1Kn 11:32

e 1Kn 12:16, 17

f 1Kn 11:35, 36

g 2Sa 20:24
1Kn 4:6

Tweede kol.

a 1Kn 12:18, 19

HFST. 11

b Ge 49:27
2Kr 14:8

c 1Kn 12:21-24

d 2Kr 12:15

e 1Kn 11:31
2Kr 10:15

f Ge 35:19
Mt 2:1

g Am 1:1

h 2Kr 28:18

i 1Sa 22:1

j 1Kr 18:1

k 1Sa 23:14

l 2Kr 32:9

m Jos 10:10
Jer 34:7

n Jos 19:42, 48

o Jos 14:14, 15
2Sa 2:1

hom met klippe doodgegooi. Koning Reha'beam het net betyds op sy strydwa geklim om na Jerusalem te vlug.^a **19** En die Israëliete het met hulle opstand teen die huis van Dawid volgehou tot vandag toe.

11 Toe Reha'beam in Jerusalem aankom, het hy onmiddellik die huis van Juda en Benjamin^b bymekaargeroep – 180 000 opgeleide* soldate – om teen Israel te veg sodat Reha'beam die koningskap kon terugryk.^c **2** Toe het Jehovah vir Sema'ja,^d die man van die ware God, gesê: **3** "Sê vir Reha'beam, die seun van Salomo, die koning van Juda, en vir al die Israëliete in Juda en Benjamin: **4** 'Dit is wat Jehovah sê: "Julle moenie teen julle broers gaan veg nie. Julle moet almal teruggaan huis toe, want ek het dit laat gebeur.'"^e Toe het hulle die woord van Jehovah gehoorsaam, en hulle het huis toe gegaan en nie teen Jero'beam gaan veg nie.

5 Reha'beam het in Jerusalem gewoon en het versterkte stede in Juda gebou. **6** Hy het Betlehem^f opgebou,* sowel as Etam, Teko'a,^g **7** Bet-Sur, Sogo,^h Adul'lam,ⁱ **8** Gat,^j Mare'sa, Sif,^k **9** Adora'im, Lagis,^l Ase'ka,^m **10** Sora, A'jalonⁿ en He'bron,^o versterkte stede in Juda en Benjamin. **11** Hy het ook die versterkte stede verder versterk. Hy het bevelvoerders daar geplaas en kos, olie en wyn aan hulle voorsien. **12** En hy het groot skilde en spiese aan al die stede voorsien. Hy het die stede baie goed versterk. En hy het aangehou om oor Juda en Benjamin te regeer.

13 En die priesters en die Leviete wat in Israel was, het

11:1 *Lett. "uitgesoekte". **11:6** *Of "versterk".

hom ondersteun en hulle gebiede verlaat. **14** Die Leviete het hulle weivelde en hulle eiendom verlaat^a en na Juda en Jerusalem gegaan omdat Jero'beam en sy seuns hulle nie toegelaat het om as priesters vir Jehovah te dien nie.^b **15** Jero'beam het toe sy eie priesters aangestel vir die offerhoogtes^c en vir die bokagtige demone^{*d} sowel as vir die kalwers wat hy gemaak het.^e **16** En uit al die stamme van Israel het almal wat vasbeslote was* om Jehovah, die God van Israel, te dien,^f agter die priesters en die Leviete aan na Jerusalem gegaan om offerandes te bring aan Jehovah, die God van hulle voorvaders.^f **17** Hulle het drie jaar lank die koningskap van Juda versterk en Reha'beam, die seun van Salomo, ondersteun, want hulle het drie jaar lank dieselfde weg as Dawid en Salomo gevolg.

18 Toe het Reha'beam met Ma'halat getrou. Sy was die dogter van Je'rimot, die seun van Dawid, en van Abi'hail, die dogter van Eli'ab,^g die seun van Isai. **19** Hy het die volgende seuns by haar gehad: Jeüs, Semar'ja en Saham. **20** Later het hy met Ma'äga, die kleindogter van Absalom,^h getrou. Hy het Abi'a,ⁱ Attai, Sisa en Se'lomit by haar gehad. **21** Reha'beam het Ma'äga, die kleindogter van Absalom, meer liefgehad as al sy ander vrouens en byvrouens.^j Hy het 18 vrouens en 60 byvrouens geneem, en hy het 28 seuns en 60 dogters gehad. **22** Reha'beam het Abi'a, die seun van Ma'äga, as hoof en leier oor sy broers aangestel, want hy was van plan om hom koning te maak. **23** Maar hy het ver-

11:15 *Lett. "die bokke". 11:16 *Of "wat hulle harte daarop gerig het".
"Lett. "soek".

HFST. 11
a Nu 35:2, 3
b 1Kn 12:31, 32
c 1Kn 13:33
d Le 17:7
e 1Kn 12:26, 28
f De 12:11
1Kr 22:1
2Kr 15:8, 9
2Kr 30:10, 11
g 1Sa 16:6
1Sa 17:13
h 2Sa 13:1
2Sa 18:33
i 1Kn 15:1
2Kr 12:16
Mt 1:7
j De 17:17

Tweede kol.

a 2Kr 11:5, 11

HFST. 12

b 2Kr 11:17
c De 32:15
2Kr 26:11, 16
d 1Kn 11:40
1Kn 14:25
e Na 3:9
f 1Kn 12:22-24
g De 28:15
2Kr 15:2
h 2Kr 33:10, 12

i 1Kn 21:29
2Kr 34:26, 27

standig opgetree en het van sy seuns na al die gebiede van Juda en Benjamin gestuur,* na al die versterkte stede,^a en hy het baie voorrade vir hulle gegee en baie vrouens vir hulle gekry.

12 Toe die koningskap van Reha'beam stewig gevestig was^b en hy magtig geword het, het hy opgehou om die Wet van Jehovah te volg,^c en die hele Israel het sy voorbeeld gevolg. **2** In die vyfde jaar van koning Reha'beam het koning Sisak^d van Egipte teen Jerusalem opgetrek, want hulle was ontrou aan Jehovah. **3** Koning Sisak het 1 200 strydwaens gehad, sowel as 60 000 perde-ruiters en ontelbare soldate wat saam met hom uit Egipte gekom het - Libiërs, Sukkiëte en Etiopiërs.^e **4** Hy het die versterkte stede van Juda ingeneem en het Jerusalem uiteindelik bereik.

5 Die profeet Sema'ja^f het na Reha'beam en die leiers van Juda gegaan wat weens Sisak in Jerusalem bymekaar gekom het en vir hulle gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Julle het my verlaat, en daarom het ek julle verlaat^g en julle aan Sisak oorgegee.'" **6** Die leiers van Israel en die koning het toe nederig berou getoon^h en gesê: "Jehovah is regverdig." **7** Toe Jehovah hulle nederige gesindheid sien, het Jehovah vir Sema'ja gesê: "Hulle het nederig berou getoon. Ek sal hulle nie vernietig nie,ⁱ en ek sal hulle binnekort red. Ek sal nie my woede deur middel van Sisak oor Jerusalem uitstort nie. **8** Maar hulle sal sy knegte word, sodat hulle kan weet wat die verskil is tussen diens aan my en diens aan die konings* van ander lande."

11:23 *Of "versprei". 12:8 *Lett. "koninkryke".

9 Koning Sisak van Egipte het dus teen Jerusalem opgetrek. Hy het die skatte van die huis van Jehovah^a en die skatte van die koning se paleis geneem. Hy het alles geneem, insluitende die goue skilde wat Salomo gemaak het.^b

10 Daarom het koning Reha'beam koperskilde gemaak om dit te vervang, en hy het dit toevertrou aan die hoofde van die wagte* wat by die ingang van die koning se paleis wag gehou het. 11 Elke keer as die koning na die huis van Jehovah gegaan het, het die wagte saam met hom gegaan en die skilde gedra, en daarna het hulle dit na die kamer van die wagte teruggeneem. 12 Omdat die koning nederig berou getoon het, het Jehovah nie vir hom kwaad gebly nie,^c en hy het hulle nie heeltemal vernietig nie.^d Buitendien was daar nog goeie dinge in Juda.^e

13 Koning Reha'beam het sy posisie in Jerusalem versterk en het bly regeer. Reha'beam was 41 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 17 jaar lank in Jerusalem regeer, die stad wat Jehovah uit al die stamme van Israel uitgekies het om sy naam daar te vestig. Die koning se ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou.^f 14 Maar hy het gedoen wat sleg is, want hy was nie vasbeslote* om Jehovah te soek nie.^g

15 Die geskiedenis van Reha'beam is van begin tot einde opgeteken in die geskrifte van die profeet Sema'ja^h en van die siener Iddoⁱ in die geslagsregister. En daar was heeltyd oorloë tussen Reha'beam en Jero'beam.^j 16 Reha'beam het

12:10 *Lett. "hardlopers". 12:14 *Of "hy het nie in sy hart besluit".

HFST. 12

a 1Kn 7:51

b 1Kn 10:16, 17
1Kn 14:25-28

c 2Kr 33:10, 12

d Klg 3:22

e Ge 18:23-25
1Kn 14:1, 13
2Kr 19:2, 3

f De 23:3
1Kn 11:1
1Kn 14:21

g 1Sa 7:3
1Kn 18:21
Mr 12:30

h 1Kn 12:22-24

i 2Kr 9:29
2Kr 13:22

j 1Kn 14:30, 31

Tweede kol.

a 2Sa 5:9

b Mt 1:7

HFST. 13

c 1Kn 15:1, 2

d 2Kr 11:20, 21

e Jos 18:28
1Sa 10:26

f 1Kn 15:6

g 2Kr 11:1

h Ps 89:28, 29

i 2Sa 7:12, 13
1Kr 17:11, 14
Lu 1:32

j Ge 49:10
2Sa 7:8
Ps 78:70, 71

k 2Kr 10:2

l 1Kn 11:26, 27
1Kn 12:20

m 1Kn 12:26, 28
2Kr 11:15

gesterf* en hy is in die Stad van Dawid^a begrawe. En sy seun Abi'a^b het in sy plek koning geword.

13 In die 18de jaar van koning Jero'beam het Abi'a koning oor Juda geword.^c

2 Hy het drie jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Miga'ja,^d die dogter van U'riël, uit Gi'bea.^e En daar was oorlog tussen Abi'a en Jero'beam.^f

3 Abi'a het gaan oorlog voer met 'n leërmag van 400 000 opgeleide,* magtige soldate.^g En Jero'beam het met 800 000 opgeleide,* magtige soldate in gevegsformasie teen hom opgetrek. 4 Abi'a het toe op die berg Semara'im gaan staan, wat in die bergstreek van E'fraim is, en gesê: "Luister na my, o Jero'beam en die hele Israel. 5 Weet julle nie dat Jehovah, die God van Israel, deur middel van 'n soutverbond*^h vir Dawid belowe het dat hy en sy seuns' vir ewig oor Israel sal regeer nie?ⁱ 6 Maar Jero'beam,^k die seun van Nebat, die kneg van Dawid se seun Salomo, het teen sy heer in opstand gekom.^l 7 Slegte manne het by hom aangesluit. Jero'beam en sy manne het teen Reha'beam, die seun van Salomo, in opstand gekom toe hy nog jonk en onervare was, en hy kon nie sy man staan teen hulle nie.

8 "En nou sien julle kans om te kom veg teen die koninkryk van Jehovah wat in die hande van die seuns van Dawid is omdat daar so baie van julle is en omdat julle die goue kalwers het wat Jero'beam vir julle as gode gemaak het.^m 9 Julie het Jehovah se priesters, die

12:16 *Lett. "is by sy vaders neergelê". 13:3 *Lett. "uitgesoekte". 13:5 *D.w.s. 'n permanente en onveranderlike verbond.

nakomelinge van Aäron, en die Leviete weggejaag,^a en julle het julle eie priesters aangestel net soos die volke van die lande.^b Enigiemand wat daar aangekom het met* 'n jong bul en sewe ramme, kon 'n priester word van julle sogenaamde gode. **10** Maar ons God is Jehovah,^c en ons het hom nie verlaat nie. Ons priesters, die nakomelinge van Aäron, dien Jehovah, en die Leviete help met die werk. **11** En hulle bring elke oggend en elke aand brandoffers^d en geurige reukwerk^e vir Jehovah, hulle sit die stapelbrode^f op die tafel van suiwer goud en hulle steek elke aand^g die lampe van die goue lampstaander^h aan omdat ons ons verantwoordelikheid teenoor Jehovah ons God nakom, maar julle het hom verlaat. **12** En kyk! die ware God is met ons en hy lei ons. Sy priesters is by ons om op die trompette te blaas wat vir ons die teken sal wees om julle aan te val. O manne van Israel, moenie teen Jehovah, die God van julle voorvaders, veg nie, want julle sal nie suksesvol wees nie.”ⁱ

13 Maar Jero'beam het soldate laat wegkruip om hulle van agter af aan te val. Die grootste deel van sy leërmag was dus voor Juda, en die soldate wat weggekruip het, was agter hulle. **14** Toe die manne van Juda omdraai, het hulle gesien dat hulle van voor en van agter aangeval word. Daarom het hulle tot Jehovah begin roep,^j terwyl die priesters hard op die trompette geblaas het. **15** Die manne van Juda het 'n oorlogskreet uitgeroep, en toe hulle die oorlogskreet uitroep, het die ware

13:9 *Lett. “gekrom het om sy hand te vul met”. **13:11** *D.w.s. die offerbrode.

HFST. 13

a 2Kr 11:14

b 1Kn 12:31, 33
1Kn 13:33

c 2Kr 11:16

d Eks 29:39

e Eks 30:1

f Eks 25:30

g Eks 27:20

h Eks 25:31

i Nu 10:9

j 2Kr 14:11
2Kr 18:31

Tweede kol.

a 2Kn 18:1, 5
1Kr 5:20
2Kr 16:8
Ps 22:5
Ps 37:5
Na 1:7

b 1Kn 12:28, 29

c Joh 11:54

d 1Sa 25:38
1Kn 14:20
Han 12:21-23

e De 17:17

f 2Kr 9:29
2Kr 12:15

HFST. 14

g 2Sa 5:9

h De 7:5

i Eks 23:24

God vir Abi'a en Juda die oorwinning oor Jero'beam en die hele Israel gegee. **16** Die Israëliete het vir Juda gevlug, en God het hulle in hulle hand gegee. **17** Abi'a en sy manne het baie van hulle doodgemaak, en 500 000 van die opgeleide* manne van Israel het gesterf. **18** So is die manne van Israel op daardie tyd verneder, maar die manne van Juda het die oorhand gekry omdat hulle op Jehovah, die God van hulle voorvaders, vertrou* het.^a **19** Abi'a het Jero'beam agternagesit en van sy stede ingeneem, naamlik Bet-El^b en sy afhanklike* dorpe, Jesa'na en sy afhanklike dorpe en E'frain^c en sy afhanklike dorpe. **20** En Jero'beam het in Abi'a se tyd nooit weer sy mag herwin nie. Jehovah het hom uiteindelik getref, en hy het gesterf.^d

21 Maar Abi'a het al hoe magtiger geword. Met verloop van tyd het hy 14 vrouens geneem,^e en hy het 22 seuns en 16 dogters gehad. **22** En die res van Abi'a se geskiedenis, sy dade en sy woorde, is opgeteken in die geskrifte* van die profeet Iddo.^f

14 Abi'a het gesterf,* en hy is in die Stad van Dawid^g begrawe. En sy seun Asa het in sy plek koning geword. In sy dae was daar tien jaar lank vrede in die land.

2 Asa het gedoen wat goed en reg is in die oë van Jehovah sy God. **3** Hy het die vreemde altare^h en die offerhoogtes verwyder, die heilige pilare stukkend gekapⁱ en die heilige pale*

13:17 *Lett. “uitgesoekte”. **13:18** *Lett. “gesteun”. **13:19** *Of “omliggende”. **13:22** *Of “uiteensetting; kommentaar”. **14:1** *Lett. “is by sy vaders neergelê”. **14:3** *Sien Woordelys.

afgekap.^a **4** En hy het vir Juda gesê dat hulle Jehovah, die God van hulle voorvaders, moet dien en die Wet en die gebod moet gehoorsaam. **5** Daarom het hy die offerhoogtes en die reukwerkstaanders^b uit al die stede van Juda verwyder. En terwyl hy regeer het, het die koninkryk vrede geniet. **6** Hy het versterkte stede in Juda gebou^c omdat daar vrede in die land was en niemand gedurende hierdie tyd teen hom oorlog gevoer het nie, want Jehovah het hom rus gegee.^d **7** Hy het vir Juda gesê: "Laat ons hierdie stede bou en dit versterk met mure en torings,^e poorte* en grendels. Want die land behoort nog aan ons omdat ons Jehovah ons God dien. Ons dien hom, en hy het ons rus gegee van al ons vyande om ons." En hulle bouwerk was suksesvol.^f

8 In Asa se leërmag was daar 300 000 manne van Juda met groot skilde en spiese en 280 000 magtige vegters van Benjamin met klein skilde* en boë.^g

9 Later het Serag die Etiopiër teen hulle opgetrek met 'n leërmag van 1 000 000 manne en 300 striedwaens,^h en hy het Mare'saⁱ bereik. **10** Asa het in die Sefa'ta-vallei by Mare'sa in gevegsformasie teen hom opgetrek. **11** Asa het tot Jehovah sy God om hulp geroep^j en gesê: "O Jehovah, dit maak nie vir u saak of dié aan wie u hulp verleen, sterk* of swak is nie.^k Help ons, Jehovah ons God, want ons vertrou^l op u,^l en dit is in u naam dat ons teen hierdie groot leërmag opgetrek het.^m O Jehovah, u is ons God. Moenie toe-

14:7 *Lett. "dubbele deure". **14:8** *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. **14:11** *Lett. "baie". "Lett. "steun".

HFST. 14

a 1Kn 14:22, 23

2Kn 18:1, 4

b 2Kr 34:1, 4

c 2Kr 11:5

d 2Kr 15:15

Spr 16:7

e 2Kr 32:2, 5

f Ps 127:1

g 2Kr 11:1, 12

2Kr 13:3

h 2Kr 16:8

i Jos 15:20, 44

2Kr 11:5, 8

j Eks 14:10

1Kr 5:20

2Kr 32:20

k Rig 7:7

1Sa 14:6

l 2Kr 13:12

2Kr 32:7, 8

m 1Sa 17:45

Ps 20:5

Spr 18:10

Tweede kol.

a Jos 7:9

Ps 9:19

b De 28:7

c Ge 20:1

HFST. 15

d Jak 4:8

e Jes 55:6

f 1Kr 28:9

Heb 10:38

g De 33:8, 10

2Kr 17:8, 9

Mal 2:7

h Ps 106:43, 44

Jes 55:7

laat dat blote mense die oorhand oor u kry nie."^a

12 Daarom het Jehovah vir Asa en Juda die oorwinning oor die Etiopiërs gegee, en die Etiopiërs het gevlug.^b **13** Asa en die manne wat by hom was, het die Etiopiërs tot by Gerar^c agternagesit. En hulle het al die Etiopiërs doodgemaak. Nie een van hulle het oorgebly nie, want hulle is heeltemal deur Jehovah en sy leërmag verslaan. Daarna het die manne van Juda baie van hulle besittings as buit weggedra. **14** Hulle het ook al die stede rondom Gerar aangeval, want die inwoners van daardie stede het bang geword vir Jehovah. En hulle het al die stede gestroop, want daar was baie goed in die stede wat hulle kon neem. **15** Hulle het die tente van die mense wat vee gehad het, aangeval, en hulle het baie kleinvee en kamele geneem. Daarna het hulle na Jerusalem teruggegaan.

15 Die gees van God het oor Asar'ja, die seun van Oded, gekom. **2** Hy het toe na Asa gegaan en vir hom gesê: "Luister na my, Asa en die hele Juda en Benjamin! Jehovah is aan julle kant solank julle aan sy kant bly.^d En as julle hom soek, sal hy sorg dat julle hom vind,^e maar as julle hom verlaat, sal hy julle verlaat.^f **3** Israel was lank sonder die ware God, sonder 'n priester wat hulle onderrig en sonder wette.^g **4** Maar wanneer hulle in die moeilikheid was en na Jehovah, die God van Israel, teruggekeer het en hom gesoek het, het hy hom deur hulle laat vind.^h **5** In daardie tyd was dit nie veilig om te reis nie,* want daar was

15:5 *Lett. "was daar geen vrede vir die een wat uitgaan of vir die een wat inkom nie".

baie onrus onder al die inwoners van die lande. **6** Die een nasie het die ander nasie verslaan, en die een stad die ander, want God het hulle allerhande probleme laat ondervind sodat daar geen orde was nie.^a **7** Maar julle moet sterk wees, en julle moenie mismoedig word nie,^{*b} want julle sal beloon word vir julle dade.”

8 Toe Asa hierdie woorde en die profesie van die profeet Oded hoor, het dit hom moed gegee, en hy het die walglike afgode verwyder uit die hele land van Juda^c en Benjamin en uit die stede wat hy in die bergstreek van E'fraim ingeneem het. En hy het die Jehovah se altaar herstel wat voor die portaal van Jehovah was.^d **9** Hy het ook die hele Juda en Benjamin bymekaargeroep, asook die uitlanders onder hulle wat van E'fraim, Manas'se en Si'meon gekom het.^e Baie van hulle het van Israel na Asa oorge-loop toe hulle sien dat Jehovah sy God met hom is. **10** Hulle is in Jerusalem bymekaargebring in die derde maand van Asa se 15de regeringsjaar. **11** Op daardie dag het hulle 700 beeste en 7000 skape aan Jehovah geoffer uit die buit wat hulle in die oorlog geneem het. **12** Hulle het ook deur middel van 'n verbond belowe om Jehovah, die God van hulle voorvaders, met hulle hele hart en met hulle hele siel* te dien.^f **13** en dat enigiemand wat Jehovah, die God van Israel, nie dien nie, doodgemaak sal word, het-sy klein of groot, man of vrou.^g **14** Toe het hulle met 'n harde stem, met vreugdevolle uitroep en met trompette en ho-

15:7 *Lett. "julle moet julle hande nie laat sak nie". 15:12, 16 *Sien Woordelys.

HFST. 15
a De 28:15, 48
b Jos 1:9
1Kr 28:20
c 2Kn 23:24
d 2Kr 8:12
e 2Kr 11:16
2Kr 30:25
f De 4:29
2Kn 23:3
Ne 10:28, 29
g Eks 22:20

Tweede kol.

a 2Kr 15:2
b Spr 16:7
c 1Kn 15:9, 10
d De 13:6-9
e 1Kn 15:13, 14
f 1Kn 14:22, 23
2Kn 14:3, 4
2Kn 23:19, 20
g 1Kn 22:43
h 1Kn 8:61
i 1Kn 7:51
1Kn 15:15
1Kr 26:26
j 2Kr 14:1

HFST. 16

k 1Kn 15:25, 27
l Jos 18:21, 25
m 1Kn 15:17-19
n 1Kn 7:51
o 1Kn 20:1
2Kn 12:18
2Kn 16:8

rings 'n eed aan Jehovah afgelê. **15** En die hele Juda was bly oor die eed, want hulle het die eed afgelê met hulle hele hart en het hom gretig gesoek, en hy het hom deur hulle laat vind.^a En Jehovah het hulle rus gegee van hulle vyande om hulle.^b

16 Koning Asa het selfs sy ouma Ma'äga^c uit haar posisie as koningin-moeder[#] verwyder omdat sy 'n afstootlike afgod gemaak het vir die aanbidding van die heilige paal.^{*d} Asa het haar afstootlike afgod afgekap, dit in stukkes gekap en dit in die Kidron-vallei verbrand.^e **17** Maar die offerhoogtes is nie uit Israel^f verwyder nie.^g Asa het God nogtans sy hele lewe lank met sy hele hart gedien.^{*h} **18** En hy het die dinge wat hy en sy pa geheilig het, in die huis van die ware God ingebring: silwer, goud en allerhande voorwerpe.ⁱ **19** Daar was geen oorlog tot Asa se 35ste regeringsjaar nie.^j

16 In die 36ste jaar na dat Asa koning geword het, het koning Baäsa^k van Israel teen Juda opgetrek. Hy het Rama^l begin opbou* om te verhoed dat enigiemand uit die gebied van koning Asa van Juda uitgaan of daar ingaan.^m **2** Toe het Asa silwer en goud uit die skatkamers van Jehovah se huisⁿ en die koning se paleis geneem en dit na koning Ben-Hadad van Sirië,^o wat in Damaskus gewoon het, gestuur en gesê: **3** "Daar is 'n ooreenkoms* tussen my en u en tussen my pa en u pa. Ek stuur vir u silwer en goud. Breek u ooreenkoms* met koning Baäsa van Israel, sodat hy van my af sal wegtrek."

15:16 *Of "as dame". 15:17 *Of "Nogtans was Asa se hart al sy dae volkome". 16:1 *Of "versterk; herbou". 16:3 *Of "verbond".

4 Ben-Hadad het na koning Asa geluister en het die hoofde van sy leërmag gestuur om teen die stede van Asraël te veg, en hulle het Ijon,^a Dan,^b A'bel-Ma'im en al die stoorplekke van die stede van Naftali verower.^c 5 Toe Baäsa daarvan hoor, het hy onmiddellik opgehou om Rama op te bou* en alles net so gelos. 6 Koning Asa het toe die hele Juda bymekaargeroep, en hulle het die klippe en balke weggedra wat Baäsa gebruik het om Rama^d op te bou,^e en hy het dit gebruik om Geba^f en Mispa^g op te bou.*

7 Toe het die siener Hana'ni^h na koning Asa van Juda gegaan en vir hom gesê: "Omdat u op die koning van Sirië vertrou* het en nie op Jehovah u God vertrou* het nie, het u die kans om die leërmag van die koning van Sirië te verslaan, deur u vingers laat glip.ⁱ 8 Het die Etiopiërs en die Libiërs nie 'n baie groot leërmag en baie strydwaens en perderuiters gehad nie? Maar omdat u op Jehovah vertrou het, het hy hulle in u hand gegee.^j 9 Want die oë van Jehovah deursoek die hele aarde^k om dié te ondersteun* wat met hulle hele hart op hom vertrou.^l U het onverstandig opgetree. Van nou af sal daar oorloë teen u wees."^m

10 Maar Asa het hom vir die siener vererg. Hy was so kwaad dat hy hom in die tronk* gegooi het. In daardie tyd het Asa ook ander onder die volk begin mishandel. 11 Die geskiedenis van Asa is van begin tot einde opgeteken in die Boek van die konings van Juda en van Israel.ⁿ

16:5, 6 *Of "te versterk; te herbou". 16:7 *Lett. "gesteun". 16:9 *Of "om sy krag te toon ten behoeve van dié".^l *Lett. "wie se hart volkome is teenoor hom". 16:10 *Of "blokgevangenis".

HFST. 16
a 2Kn 15:29
b Rig 18:29
c 1Kn 15:20-22
d Jos 18:21, 25
e 1Kn 15:17
f Jos 18:21, 24
1Kr 6:60, 64
g Jos 18:21, 26
Rig 20:1
h 1Kn 16:1
2Kr 19:2
2Kr 20:34
i Jer 17:5
j 2Kr 14:9, 11
Ps 37:39, 40
k Sag 4:10
l 1Pe 3:12
m 1Kn 15:32
n 1Kn 15:23

Tweede kol.

a 1Kn 15:24
b 2Sa 5:7
c Mr 16:1
Lu 23:55, 56
Joh 19:40

HFST. 17

d 1Kn 15:24
1Kn 22:41
e 2Kr 15:8
f 2Sa 8:15
g De 4:29
2Kr 26:1, 5
h 1Kn 12:28-30
1Kn 13:33
i 1Kn 9:4, 5
Ps 132:12
j 2Kr 18:1
k 1Kn 22:42, 43
l De 7:5

12 In die 39ste jaar nadat Asa koning geword het, het hy 'n voetkwaal ontwikkel en baie siek geword. Selfs toe hy siek was, het hy nie by Jehovah hulp gesoek nie, maar by die genezers. 13 Asa het gesterf*^a in sy 41ste regeringsjaar. 14 Hulle het hom begrawe in die indrukwekkende graf wat hy vir homself in die Stad van Dawid^b gegrawe het. En hulle het hom neergelê op 'n draagbaar wat bedek was met balsemolie en 'n salf wat gemaak is van allerhande speserye en geurige olies.^c Hulle het ook 'n besonder groot begrafnisvuur vir hom gemaak.*

17 Sy seun Jo'safat^d het in sy plek koning geword, en hy het sy posisie oor Israel versterk. 2 Hy het troepe in al die versterkte stede van Juda geplaas. Hy het ook groepe soldate geplaas in die land van Juda en in die stede van E'fraim wat sy pa, Asa, ingeneem het.^e 3 Jehovah was voortdurend met Jo'safat omdat hy die voorbeeld van sy voorvader Dawid^f gevolg het en nie die Baäls gedien het nie. 4 Want hy het die God van sy vader gedien^g en sy gebod gevolg,* en nie die gebruike van Israel nie.^h 5 Jehovah het Jo'safat se koninkryk stewig gevestig.ⁱ Die hele Juda het aan Jo'safat geskenke bly gee, en hy was baie ryk en het baie eer ontvang.^j 6 Hy het die weë van Jehovah moedig gevolg, en hy het selfs die offerhoogtes^k en die heilige pale*^l uit Juda verwyder.

7 In die derde jaar nadat hy koning geword het, het hy sy

16:13 *Lett. "is by sy vaders neergelê". 16:14 *Verwys blykbaar nie na 'n verassing nie, maar na speserye wat gebrand is. 17:4 *Lett. "in sy gebod gewandel". 17:6 *Sien Wordelys.

hoë amptenare Ben-Hail, Obad'ja, Sagari'a, Neta'nel en Miga'ja gestuur om die mense in die stede van Juda te onderrig. **8** Die volgende Leviete was saam met hulle: Sema'ja, Netan'ja, Sebad'ja, A'sahel, Semi'ramot, Jo'natan, Ado'nia, Tob'i'a en Tob-Ado'nia. Die priesters Elisa'ma en Joram was ook saam met hulle.^a **9** Hulle het die mense in Juda onderrig en het die boek van Jehovah se Wet saam met hulle geneem.^b Hulle het na al die stede van Juda gegaan en die mense daar onderrig.

10 Al die koninkryke van die lande rondom Juda het bang geword vir Jehovah, en hulle het nie teen Jo'safat geveg nie. **11** En die Filistyne het vir Jo'safat geskenke en geld as skatting* gebring. Die Arabiere het vir hom 7 700 skaapramme en 7 700 bokramme gegee.

12 Jo'safat het al hoe magtiger geword^c en het aangehou om vestings^d en voorraadstede^e in Juda te bou. **13** Hy het groot projekte in die stede van Juda aangepak. En hy het soldate, magtige vegters, in Jerusalem gehad. **14** Hulle is volgens hulle vaderhuise in groepe verdeel. Van Juda was daar hoofde oor 1 000. Daar was Adnag, die hoof, en saam met hom was daar 300 000 magtige vegters.^f **15** Joha'nan, die hoof, was onder sy bevel, en daar was 280 000 saam met hom. **16** En Amas'ja, die seun van Sigri, wat hom vrywillig aangebied het vir Jehovah se diens, was ook onder sy bevel, en daar was 200 000 magtige vegters saam met hom. **17** En van Benjamin^g was daar Elja'da, 'n magtige vegter, en daar was 200 000 manne saam met hom wat met die boog en die skild gewapen was.^h

17:11 *Sien Woordelys.

HFST. 17

a De 33:8, 10
Mal 2:7

b De 31:11
Jos 1:7, 8
Ne 8:7

c 2Kr 18:1

d 2Kr 14:2, 6

e 1Kn 9:19
2Kr 8:3, 4

f 2Kr 13:3
2Kr 26:11-13

g Ge 49:27

h 2Kr 14:8

Tweede kol.

a 2Kr 11:5, 23

HFST. 18

b 2Kr 17:5

c 1Kn 16:28, 33
1Kn 21:25

d 1Kn 22:2-4
2Kr 19:2

e De 4:41-43
1Kr 6:77, 80

f 2Sa 2:1
1Kn 22:5, 6

g 2Kn 3:11

h 1Kn 22:7, 8

i 1Kn 18:4
1Kn 19:9, 10

j Jer 38:4

18 En Jo'sabad was onder sy bevel, en saam met hom was daar 180 000 manne wat gewapen was vir oorlog. **19** Hulle, sowel as die mense wat die koning in die versterkte stede regoor Juda geplaas het,^a het die koning gedien.

18 Jo'safat was baie ryk en het baie eer ontvang,^b maar hy het 'n huweliksverbintenis met Agab^c aangegaan. **2** 'n Paar jaar later het hy na Agab in Samari'a gegaan.^d En Agab het vir hom en vir die manne by hom baie skape en beeste geslag.* En hy het hom aanhoudend gevra om teen Ra'mot-Gi'lead^e te gaan veg. **3** Koning Agab van Israel het vir koning Jo'safat van Juda gevra: "Sal jy saam met my na Ra'mot-Gi'lead gaan?" Hy het geantwoord: "Ek sal saam met jou gaan. My volk is jou volk, en hulle sal jou in die oorlog ondersteun."

4 Maar Jo'safat het vir die koning van Israel gesê: "Vra Jehovah eers vir leiding, asseblief."^f **5** Die koning van Israel het die profete, 400 manne, dus bymekaargeroep en vir hulle gevra: "Moet ons teen Ra'mot-Gi'lead oorlog voer of nie?" Hulle het gesê: "Gaan, want die ware God sal dit in u hand gee."

6 Jo'safat het toe gesê: "Is daar nie nog 'n profeet van Jehovah hier nie?"^g Laat ons hom ook vra."^h **7** Die koning van Israel het vir Jo'safat gesê: "Daar is nog een manⁱ deur wie ons Jehovah se leiding kan vra, maar ek haat hom, want hy profeteer nooit goeie dinge oor my nie, maar altyd slegte dinge.^j Sy naam is Miga'ja, die seun van Jimla." Maar Jo'safat het gesê: "Die koning moenie so sê nie."

18:2 *Of "geoffer".

8 Toe het die koning van Israel 'n hofbeampte geroep en gesê: "Gaan haal gou vir Miga'ja, die seun van Jimla."^a 9 Die koning van Israel en Jo'safat, die koning van Juda, het elkeen in koninklike klere op sy troon gesit. Hulle het by die dorsvloer gesit wat by die ingang van die poort van Samari'a was, en al die profete het voor hulle geprofeteer. 10 Toe het Sedeki'a, die seun van Kena'ana, ysterhorings gemaak en gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Met hierdie horings sal u die Siriërs wond* en hulle vernietig.'" 11 Al die ander profete het dieselfde geprofeteer en gesê: "Gaan na Ra'mot-Gi'lead, en u sal suksesvol wees.^b Jehovah sal dit in u hand gee."

12 Die boodskapper wat Miga'ja gaan roep het, het toe vir hom gesê: "Die woorde van al die profete is ten gunste van die koning. Laat u woorde asseblief soos hulle woorde wees,^c en sê tog iets gunstigs."^d 13 Maar Miga'ja het gesê: "So waar as wat Jehovah lewe, wat my God ook al sê, dit sal ek sê."^e 14 Toe het hy na die koning gegaan, en die koning het vir hom gevra: "Miga'ja, moet ons teen Ra'mot-Gi'lead oorlog voer of nie?" Hy het dadelik gesê: "Gaan, u sal suksesvol wees. Hulle sal in u hand gegee word." 15 Die koning het toe vir hom gesê: "Hoeveel keer moet ek jou laat sweer dat jy vir my in die naam van Jehovah net die waarheid sal vertel?" 16 Hy het gesê: "Ek sien al die Israeliete verstrooi op die berge, soos skape wat nie 'n herder het nie.^f Jehovah het gesê: 'Hulle het nie 'n leier nie. Laat elkeen in vrede na sy huis teruggaan.'"

18:10 *Of "stoot".

HFST. 18

a 1Kn 22:9-12

b Mi 3:5

c Jes 30:9,10

d 1Kn 22:13-17

e Jer 23:28
Han 20:27

f Le 26:14,17
Nu 27:16,17

Tweede kol.

a 1Kn 22:18

b Jes 6:1
Ese 1:26
Op 20:11

c Job 1:6
Da 7:9,10

d 1Kn 22:19-23

e Ps 104:4

f Jes 19:14
Ese 14:9

g 2Kr 18:10

h 2Kr 18:7

i Jer 20:2
Mr 14:65

j 1Kn 22:24-28

k 2Kr 16:10
Han 5:18

17 Toe het die koning van Israel vir Jo'safat gesê: "Het ek nie vir jou gesê dat hy nie goeie dinge oor my sal profeteer nie, maar net slegte dinge?"^a

18 Miga'ja het gesê: "Hoor die woord van Jehovah: Ek het Jehovah op sy troon sien sit,^b en die hele leërmag van die hemel^c het aan sy regterkant en aan sy linkerkant gestaan.^d

19 Jehovah het toe gevra: 'Wie sal koning Agab van Israel mislei, sodat hy na Ra'mot-Gi'lead sal gaan en daar sal sterf?' En die een het dit gesê en die ander het dít gesê. 20 'n Engel^e het toe vorentoe gekom en voor Jehovah gaan staan en gesê: 'Ek sal hom mislei.' Jehovah het vir hom gevra: 'Hoe sal jy dit doen?' 21 Hy het geantwoord: 'Ek sal gaan en 'n bedrieglike gees in die mond van al sy profete word.' Toe het hy gesê: 'Jy sal hom mislei, en jy sal suksesvol wees. Gaan doen dit.' 22 En nou het Jehovah 'n bedrieglike gees in die mond van hierdie profete van u geplaas,^f maar in werklikheid het Jehovah rampspoed vir u voorspel."

23 Sedeki'a,^g die seun van Kena'ana, het toe na Miga'ja^h gegaan en hom op die wang geslaanⁱ en gesê: "Sê jy dat die gees van Jehovah van my af weggegaan het* om met jou te praat?"^j 24 Miga'ja het geantwoord: "Jy sal daarvan seker wees op die dag dat jy in die binnekamer ingaan om weg te kruip." 25 Toe het die koning van Israel gesê: "Neem Miga'ja en gee hom oor aan Amon, die stadshoof, en Joas, die koning se seun. 26 Sê vir hulle: 'Dit is wat die koning sê: "Sit hierdie man in die tronk^k en gee hom

18:20 *Lett. "Gees". 18:23 *Lett. "Waar het die gees van Jehovah van my af weggegaan".

'n kleiner porsie brood en water totdat ek in vrede terugkom.'"^m

27 Maar Miga'ja het gesê: "As u in vrede terugkom, het Jehovah nie met my gepraat nie."^a Hy het bygevoeg: "Laat almal wat hier is,* my woorde onthou."

28 Daarna het die koning van Israel en Jo'safat, die koning van Juda, na Ra'mot-Gi'lead^b gegaan. **29** Die koning van Israel het vir Jo'safat gesê: "Wanneer ons gaan veg, sal ek my vermom, maar jy moet jou koninklike klere aantrek." Toe het die koning van Israel hom vermom en gaan veg. **30** Die koning van Sirië het die volgende bevel aan die bevelvoerders van sy strydwaens gegee: "Val net die koning van Israel aan, niemand anders nie, dit maak nie saak of hulle belangrik of onbelangrik is nie." **31** Toe die bevelvoerders van die strydwaens Jo'safat sien, het hulle gedink: 'Dit is die koning van Israel.' Daarom het hulle op hom afgestorm om teen hom te veg. Jo'safat het om hulp begin roep,^c en Jehovah het hom gehelp. God het hulle van hom af laat wegdraai. **32** Toe die bevelvoerders van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Israel is nie, het hulle onmiddellik opgehou om hom te volg.

33 Maar 'n man het 'n pyl afgeskiet en die koning van Israel toevallig* raak geskiet tussen twee dele van sy pantser.[#] Die koning het toe vir sy stryd-wadrywer gesê: "Draai om en neem my uit die geveg,[^] want ek is ernstig gewond."^d **34** Die geveg was baie intens en het die hele dag aangehou, en die koning van Israel moes tot die

18:27 *Lett. "alle volke". **18:33** *Of "in sy onskuld". [#]n Beskermdede kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is. [^]Lett. "kamp".

HFST. 18
a Nu 16:29

b Jos 20:8
1Kn 22:29-33
2Kr 18:2

c Eks 14:10
2Kr 13:14

d 1Kn 22:34, 35

Tweede kol.

a 2Kr 18:22

HFST. 19

b 2Kr 18:31, 32

c 1Kn 16:1

d 2Kr 16:7

e 1Kn 21:25

f Ps 139:21

g 1Kn 14:1, 13

h 2Kr 17:3-6

i Jos 17:14, 15

j 2Kr 15:8

k De 16:18

l De 1:16, 17
Ps 82:1

m Eks 18:21

n Ge 18:25
De 32:4

o Han 10:34
Ro 2:11
1Pe 1:17

p De 10:17
De 16:19

aand toe regop gehou word in die strydwa met sy gesig na die Siriërs. En hy het teen son-oder gesterf.^a

19 Toe het koning Jo'safat van Juda veilig* by sy paleis in Jerusalem aangekom.^b **2** Jehu,^c die seun van Hana'ni,^d die siener, het koning Jo'safat gaan ontmoet en vir hom gesê: "Dink u dit is reg dat u die goddeloses help^e en dat u liefde betoon aan dié wat wys dat hulle Jehovah haat?^f Omdat u dit gedoen het, het u Jehovah kwaad gemaak. **3** Maar God het goeie dinge in u gesien,^g want u het ontslae geraak van die heilige pale* in die land en u het u hart voorberei[#] om die ware God te dien."^h

4 Jo'safat het in Jerusalem bly woon, en hy het weer deur die land gereis, van Berse'ba af tot by die bergstreek van E'fraim,ⁱ om die volk aan te moedig om na Jehovah, die God van hulle voorvaders, terug te keer.^j **5** Hy het ook regters regoor die land, in al die versterkte stede van Juda, aangestel.^k **6** En hy het vir die regters gesê: "Tree versigtig op, want julle tree op as regters vir Jehovah, nie vir mense nie, en hy is met julle wanneer julle oordeel.^l **7** Daarom moet julle Jehovah vrees.^m Tree versigtig op, want Jehovah ons God is nie onregverdigⁿ of partydig nie,^o en hy aanvaar nie omkoopgeskenke nie."^p

8 Jo'safat het ook in Jerusalem party van die Leviete en die priesters en party van die hoofde van die vaderhuse van Israel aangestel om as regters vir Jehovah te dien en om regsake vir die inwoners van Jeru-

19:1 *Of "in vrede". **19:3** *Sien Woordelys. [#]Of "en u hart is vasbeslote".

salem te verhoor.^a **9** En hy het vir hulle gesê: "Dit is wat julle met vrees vir Jehovah, met getrouheid en met 'n onverdeelde hart* moet doen: **10** Wanneer julle broers wat in hulle stede woon, met 'n moordsaak^b na julle toe kom of as hulle 'n vraag het oor 'n wet, 'n gebod, wetsvoorskrifte of oordele, moet julle hulle waarsku sodat hulle nie skuldig word voor Jehovah nie. Anders sal hy kwaad word vir julle en julle broers. Dit is wat julle moet doen sodat julle nie skuldig word nie. **11** Die hoofpriester Amar'ja is oor julle aangestel vir elke saak wat verband hou met die diens van Jehovah.^c Sebad'ja, die seun van Is'mael, is die leier van die huis van Juda vir elke saak wat verband hou met die koning. En die Leviëte sal as beampptes vir julle dien. Wees sterk en tree op, en mag Jehovah met almal wees wat doen wat goed is."^{*d}

20 Daarna het die Moabiete,^e die Ammoniete^f en party van die Ammonim* teen Jo'safat gaan veg. **2** Daar is vir Jo'safat gesê: "Daar is 'n groot leërmag wat teen u kom veg. Hulle kom uit die gebied van die see,* van Edom^g af. En hulle is in Ha'sason-Ta'mar, dit wil sê En-Gedi."^h **3** Toe het Jo'safat bang geword en besluit om Jehovah vir hulp te vra.ⁱ Hy het vir die hele Juda 'n vas aangekondig. **4** Die mense van Juda het bymekaargekom om Jehovah se leiding te vra.^j Hulle het uit al die stede van Juda gekom om Jehovah te raadpleeg.

5 Toe het Jo'safat in die gemeente van Juda en van Jerusalem opgestaan, in die huis van

19:9 *Of "in hart wat ten volle toegewyd is". 19:11 *Of "met wat goed is". 20:1 *Of moontlik "die Meüniëte". 20:2 *Blykbaar die Dooie See.

HFST. 19

a De 17:9
De 21:5
De 25:1

b De 17:8

c Mal 2:7

d 2Kr 15:2

HFST. 20

e Rig 3:14
2Sa 8:2
Ps 83:2, 6

f Ge 19:36-38

g Jos 15:1

h Jos 15:20, 62

i 2Kr 19:1, 3

j De 4:29-31

Tweede kol.

a 1Kn 8:23
Mt 6:9

b 1Kr 29:11
Da 4:17

c 1Kr 29:12
Jes 40:15, 17
Da 4:35

d Ge 12:7
Ne 9:7, 8
Jes 41:8
Jak 2:23

e 2Kr 2:4

f 2Kr 6:20

g 1Kn 8:33, 34
2Kr 6:28-30

h Ge 36:8

i Nu 20:17, 18
De 2:5, 9, 19

j Rig 11:23, 24
Ps 83:2, 4

k Rig 11:27, 28
Ps 7:6

l 2Kn 6:15, 16

m 2Kr 14:11
Ps 25:15
Ps 62:1

Jehovah, voor die nuwe voorhof, **6** en hy het gesê:

"O Jehovah, die God van ons voorvaders, is u nie God in die hemel nie?^a Regeer u nie oor al die koninkryke van die nasies nie?^b In u hand is krag en mag, en niemand kan teen u staande bly nie.^c **7** O ons God, het u nie die inwoners van hierdie land ter wille van u volk Israel verdryf en die land toe as 'n permanente besitting aan die nageslag* van u vriend Abraham gegee nie?^d **8** En hulle het daarin gaan woon, en hulle het daar vir u 'n heiligdom vir u naam gebou^e en gesê: **9** 'As daar rampspoed oor ons kom, of dit nou deur die swaard, veroordeling, siekte of hongersnood is, sal ons voor hierdie huis en voor u gaan staan (want u naam is in hierdie huis),^f en ons sal u smeek om ons te help. Mag u dan luister en ons red.^g **10** Nou het die manne van Ammon, Moab en die bergstreek Seir^h teen ons opgetrek. Toe Israel uit Egipte gekom het, het u die Israeliete nie toegelaat om hulle gebied binne te val nie, en Israel het van hulle af weggedraai en hulle nie vernietig nie.ⁱ

11 En nou betaal hulle ons terug deur te kom en ons te verdryf uit u land wat u vir ons as 'n erfdeel gegee het.^j **12** O ons God, straf hulle asseblief.^k Want ons is magteloos voor hierdie groot leërmag wat teen ons kom veg, en ons weet nie wat om te doen nie,^l maar ons oë is op u."^m

13 Al die mans van Juda het die hele tyd voor Jehovah gestaan, saam met hulle kinders, hulle vrouens en selfs hulle klein kindertjies.

14 Toe het die gees van Jehovah in die gemeente oor Jahasiël gekom. Hy was die seun

20:7 *Lett. "saad".

van Sagari'a, die seun van Bena'ja, die seun van Jefeel, die seun van Mattan'ja, 'n Leviet uit die nakomelinge van Asaf. **15** Hy het gesê: "Luister, koning Jo'safat en inwoners van Juda en Jerusalem! Dit is wat Jehovah vir julle sê: 'Moenie vrees nie en moenie bang wees vir hierdie groot leërmag nie, want die geveg is nie julle s'n nie, maar God s'n.^a **16** Gaan môre teen hulle uit. Hulle sal met die Sis-pas kom, en julle sal hulle aan die einde van die vallei* voor die wildernis Jeru'el vind. **17** Julle sal nie in hierdie oorlog hoef te veg nie. Neem julle posisies in, staan stil^b en sien hoe Jehovah julle red.^{*c} O Juda en Jerusalem, moenie bang wees of vrees nie.^d Gaan môre teen hulle uit, en Jehovah sal met julle wees."^e

18 Dadelik het Jo'safat op sy knieë gegaan en neergebuig, en die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het voor Jehovah op hulle knieë neergeval om Jehovah te aanbid. **19** Toe het die Leviete wat nakomelinge van Kehat' en van Korag was, opgestaan om Jehovah, die God van Israel, met 'n baie harde stem te loof.^g

20 Hulle het die volgende oggend vroeg opgestaan en na die wildernis van Teko'a^h gegaan. Toe hulle vertrek het, het Jo'safat voor hulle gaan staan en gesê: "Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Vertrou op Jehovah julle God sodat julle kan vasstaan.* Vertrou op sy profete,ⁱ en julle sal suksesvol wees."

21 Nadat hy die volk geraadpleeg het, het hy manne aange-

20:16 *Of "wadi". Sien Woordelys.
20:17 *Of "sien die redding van Jehovah ten behoeve van julle". **20:20** *Of "volhard".

HFST. 20

a De 1:29, 30
Jos 11:4, 6
2Kr 32:7, 8

b Jes 30:15

c Eks 14:13, 14
Eks 15:2
1Sa 2:1
1Kr 16:23
Klg 3:26d De 31:8
Jos 10:25e Nu 14:9
2Kr 15:2

f 1Kr 23:12

g 1Kr 15:16

h 2Kr 11:5, 6

i Eks 14:31
Eks 19:9

Tweede kol.

a 1Kr 15:16

b Eks 34:6

c Rlg 7:22
1Sa 14:20

d De 2:5

e Eks 14:25
Ese 38:21

f 2Kr 20:16

g Eks 14:30
Ps 110:5, 6
Jes 37:36h Eks 12:35
2Kn 7:15, 16i Eks 17:14, 15
1Sa 7:12j 1Sa 2:1
Ps 20:5
Ps 30:1k 2Sa 6:5
1Kr 16:5l Nu 10:8
1Kr 13:8
2Kr 29:26

stel om vir Jehovah te sing^a en hom te loof. Hulle moes in heilige klere voor die gewapende manne uitgaan en sing: "Dank Jehovah, want sy lojale liefde duur vir ewig."^b

22 Toe hulle met vreugde lofliedere begin sing, het Jehovah 'n strik gestel vir die manne wat Juda binnegeval het, die manne van Ammon, Moab en die bergstreek Seir, en hulle het mekaar doodgemaak.^c **23** En die Ammoniete en die Moabiete het die inwoners van die bergstreek Seir^d aangeval om hulle te vernietig en uit te roei. En nadat hulle die inwoners van Seir doodgemaak het, het hulle mekaar doodgemaak.^e

24 Toe Juda by die wagtering van die wildernis kom^f en in die rigting van die leërmag kyk, het hulle hulle lyke op die grond sien lê.^g Daar was geen oorlewendes nie. **25** Jo'safat en sy manne het gegaan om die lyke te stroop en hulle het baie goedere, klere en waardevolle dinge gevind. Hulle het soveel bymekaargemaak dat hulle nie alles kon dra nie.^h Dit het drie dae geneem om alles weg te dra. **26** Op die vierde dag het hulle in die Be'raga-vallei bymekaargekom om Jehovah te loof.* Daarom het hulle daardie plek die Be'raga-vallei[#] genoem,ⁱ en dit word tot vandag toe so genoem.

27 Toe het al die manne van Juda en Jerusalem, onder die leiding van Jo'safat, met vreugde na Jerusalem teruggegaan, want Jehovah het hulle die oorwinning oor hulle vyande gegee.^j **28** Hulle het met die klank van harpe,^k ander snaarinstrumente en trompette^l in Jerusalem aangekom en na

20:26 *Lett. "te seën". [#]Beteken "vallei van seënings".

die huis van Jehovah gaan.^a **29** En al die koninkryke van die lande het bang geword vir God toe hulle hoor dat Jehovah teen Israel se vyande geveg het.^b **30** Daar was dus vrede in die koninkryk van Jo'safat, en sy God het hom rus van al sy vyande om hom bly gee.^c

31 En Jo'safat het aangehou om oor Juda te regeer. Hy was 35 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 25 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Asu'ba, die dogter van Silhi.^d **32** Hy het dieselfde weg gevolg as sy pa, Asa.^e Hy het nie daarvan afgewyk nie, en hy het gedoen wat reg is in die oë van Jehovah.^f **33** Maar die offerhoogtes is nie verwyder nie,^g en die volk het nog nie hulle hart voorberei om die God van hulle voorvaders te dien nie.^h

34 Die res van die geskiedenis van Jo'safat is van begin tot einde opgeteken in die geskrifte van Jehu,ⁱ die seun van Hana'ni,^j wat ingesluit is in die Boek van die konings van Israel. **35** Later het koning Jo'safat van Juda 'n ooreenkoms gemaak met koning Aha'sia van Israel, wat goddelose dinge gedoen het.^k **36** Hulle het saam skepe gebou om na Tarsis^l te vaar. Hulle het die skepe in E'seon-Ge'ber^m gebou. **37** Maar Eliëser, die seun van Dodawa'hu, uit Mare'sa, het teen Jo'safat geprofeteer en gesê: "Omdat u 'n ooreenkoms met Aha'sia gemaak het, sal Jehovah u projek laat misluk."ⁿ Die skepe is dus erg beskadig,^o en hulle kon nie na Tarsis vaar nie.

21 Jo'safat het gesterf,^{*} en hy is by sy voorvaders in die Stad van Dawid begrawe. En sy seun Joram het in sy plek koning geword.^p **2** Sy broers, die

HFST. 20

- a Ps 116:19
b Eks 15:13, 14
Jos 9:3, 9
2Kr 17:10
c Jos 23:1
2Sa 7:1
2Kr 15:15
d 1Kn 22:41, 42
e 1Kn 15:11
f 2Kr 17:3, 4
2Kr 19:2, 3
g 1Kn 15:14
1Kn 22:43
2Kr 17:1, 6
h 1Kn 18:21
i 1Kn 16:1
2Kr 19:2
j 2Kr 16:7
k 2Kn 1:2, 16
l 1Kn 10:22, 23
m Nu 33:1, 35
De 2:8
1Kn 9:26
n 2Kr 19:2
Ps 127:1
o 1Kn 22:48

HFST. 21

- p 1Kn 22:50

Tweede kol.

- a 2Kr 11:5, 23
b 2Kn 8:16
c Rig 9:5, 6
d 2Kn 8:17-19
e 1Kn 14:7, 9
Ho 4:1
f 2Kr 22:2
Ne 13:26
g 2Sa 23:5
Ps 89:20, 28
Jer 33:20, 21
h 2Sa 7:12, 16
1Kn 11:36
Ps 132:11
i Ge 27:40
j 1Kn 22:47
2Kn 8:20-22
k Jos 21:13
2Kn 19:8
l 2Kr 15:2
Jer 2:13
m De 12:2

seuns van Jo'safat, was Asar'ja, Jehi'ël, Sagari'a, Asar'ja, Mi'gael en Sefat'ja. Hulle almal was die seuns van koning Jo'safat van Israel. **3** En hulle pa het vir hulle baie geskenke gegee: silwer, goud en kosbare dinge, asook versterkte stede in Juda.^a Maar hy het die koninkryk aan Joram gegee,^b want hy was die eersgeborene.

4 Toe Joram die koninkryk by sy pa oorgeneem het, het hy al sy broers en party van die leiers van Israel met die swaard doodgemaak^c om te verseker dat hy sy posisie as koning behou. **5** Joram was 32 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het agt jaar lank in Jerusalem regeer.^d **6** Hy het dieselfde weg gevolg as die konings van Israel,^e net soos die huis van Agab gedoen het, want hy het met Agab se dogter getrou.^f En hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë. **7** Maar Jehovah wou nie die huis van Dawid uitroei nie ter wille van die verbond wat hy met Dawid gemaak het,^g want hy het belowe dat hy vir hom en sy seuns altyd 'n lamp^{*} sou gee.^h

8 In sy dae het Edom teen Juda in opstand gekomⁱ en hulle eie koning aangestel.^j **9** Daarom het Joram met sy bevelvoerders en al sy strydwaens teen hulle opgetrek. En in die nag het hy die Edomiete wat hom en die bevelvoerders van die strydwaens omsingel het, aangeval en verslaan. **10** Maar die Edomiete het volgehou met hulle opstand teen Juda tot vandag toe. In daardie tyd het Libna^k ook teen Joram in opstand gekom omdat hy Jehovah, die God van sy voorvaders, verlaat het.^l

11 Hy het ook offerhoogtes^m op die berge van Juda gemaak om

21:1 *Lett. "is by sy vaders neergelê".

21:7 *D.w.s. 'n nakomeling.

die inwoners van Jerusalem te kry om ander gode te aanbid,* en hy het Juda laat afdwaal.

12 Hy het uiteindelik 'n brief van die profeet Eli'a gekry,^a wat gesê het: "Dit is wat Jehovah, die God van u voorvader Dawid, sê: 'Jy het nie die voorbeeld gevolg van Jo'safat,^b jou pa, of van koning Asa^c van Juda nie. **13** Maar jy volg die voorbeeld van die konings van Israel^d en jy laat die inwoners van Juda en Jerusalem ander gode aanbid,*^e net soos die huis van Agab.^f En jy het selfs jou eie broers, die seuns van jou pa, wat beter as jy was, doodgemaak.^g **14** Daarom gaan Jehovah jou volk, jou seuns en jou vrouens swaar straf, en jy sal jou besittings verloor. **15** Jy sal aan baie siektes ly, insluitende 'n siekte wat jou ingewande aantast, en dit sal elke dag erger word totdat jou ingewande uitkom.'"

16 Toe het Jehovah veroorsaak^h dat die Filistyneⁱ en die Arabiere^j wat naby die Etiopiërs gewoon het, vyande van Joram word. **17** Hulle het Juda binnegedring en dit aangeval. Hulle het alles wat in die koning se paleis was,^k en ook sy seuns en sy vrouens, geneem. Die enigste seun wat oorgebly het, was Jo'ahas,^{*l} sy jongste seun. **18** En daarna het Jehovah hom 'n ongeneeslike siekte laat kry wat sy ingewande aangetas het.^m **19** Ná twee volle jare het sy ingewande uitgekom as gevolg van sy siekte, en hy het tot sy dood toe verskriklik gely. Sy volk het nie 'n begrafnisvuur vir hom gemaak soos hulle vir sy voorvaders gemaak het nie.ⁿ **20** Hy was 32 jaar oud toe hy ko-

21:11 *Of "om geestelike prostitusie te pleeg". 21:13 *Of "geestelike prostitusie pleeg". 21:17 *Ook Ahasia genoem.

HFST. 21

a 2Kn 2:1, 11

b 2Kr 17:3

c 1Kn 15:11
2Kr 14:2, 5

d 1Kn 16:25, 33

e Eks 34:15
Jer 3:8

f 2Kn 9:22

g 2Kr 21:4

h 1Kn 11:14
2Kr 33:11
Jes 10:5

i Jos 13:1, 2
2Sa 8:1

j 2Kr 17:11

k 1Kn 14:25, 26

l 2Kr 22:1

m Han 12:21-23

n 2Kr 16:13, 14
Jer 34:4, 5

Tweede kol.

a 1Kn 2:10

b 2Kr 24:24, 25
2Kr 28:27

HFST. 22

c 2Kr 21:16, 17

d 2Kn 8:24-26

e 2Kn 11:1
2Kn 11:13, 16
2Kr 24:7

f 1Kn 16:28

g 1Kn 16:33
2Kn 8:27, 28
Mi 6:16

h 1Kn 22:3
2Kr 18:14

i 2Kn 8:15
2Kn 10:32

j Jos 19:18, 23

k 2Kn 9:15

l 2Kn 8:16

m 2Kn 3:1

n 2Kn 9:16

ning geword het, en hy het agt jaar lank in Jerusalem regeer. Niemand was spyt toe hy gesterf het nie. En hulle het hom in die Stad van Dawid^a begrawe, maar nie in die grafte van die konings nie.^b

22 Toe het die inwoners van Jerusalem Joram se jongste seun, Aha'sia, in sy plek koning gemaak, want die rowerbende wat saam met die Arabiere na die kamp gekom het, het al Aha'sia se ouer broers doodgemaak.^c So het Aha'sia, die seun van Joram, as koning oor Juda begin regeer.^d **2** Aha'sia was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het een jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Ata'lia,^e die kleindogter* van Omri.^f

3 Hy het ook die weg van die huis van Agab gevolg,^g want sy ma het hom beïnvloed om goddelose dinge te doen. **4** En hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos die huis van Agab, want hulle het sy raadgevers geword ná die dood van sy pa. En hulle raad het tot sy dood gelei. **5** Hy het hulle raad gevolg en saam met Joram, die seun van koning Agab van Israel, by Ra'mot-Gi'lead^h teen koning Ha'saelⁱ van Sirië gaan oorlog voer, waar Joram deur boogskutters gewond is. **6** Hy het na Jis'reël^j teruggegaan om van sy wonde te herstel nadat hy in Rama teen koning Ha'sael van Sirië^k geveg het.

Aha'sia,^{*} die seun van Joram,^l die koning van Juda, het na Jis'reël gegaan om Joram,^m die seun van Agab, te besoek omdat hy gewondⁿ was.ⁿ **7** Maar God het gesorg dat Aha'sia se besoek aan Joram tot

22:2 *Lett. "dogter". 22:6 *Ook "Asarja" genoem in party Hebreeuse manuskripte. "Of "siek".

sy dood lei. Hy het saam met Joram gegaan na Jehu,^a die kleinseun* van Nimsi, wat deur Jehovah gesalf is om die huis van Agab uit te roei.^b **8** Terwyl Jehu besig was om die huis van Agab uit te roei, het hy die leiers van Juda en die seuns van Aha'sia se broers, dienaars van Aha'sia, teëgekome en hulle doodgemaak.^c **9** Daarna het hy manne gestuur om Aha'sia te soek. Hulle het hom in Samari'a gevind waar hy weggekruip het, hom na Jehu toe geneem en hom doodgemaak. Toe het hulle hom begrawe,^d want hulle het gesê: "Hy is die kleinseun van Jo'safat, wat Jehovah met sy hele hart gedien* het."^e Daar was toe niemand van die huis van Aha'sia wat oor die koninkryk kon regeer nie.

10 Toe Ata'lia,^f Aha'sia se ma, sien dat haar seun dood is, het sy al die kinders van die koninklike huis* van Juda doodgemaak.^g **11** Maar Jo'sabat, die dogter van die koning, het Joas,^h Aha'sia se seun, weggevat tussen die seuns van die koning wat doodgemaak sou word, en sy het hom en sy oppasser in 'n binneste slaapkamer weggesteek. Jo'sabat, die dogter van koning Joramⁱ (sy was die vrou van die priester Joja'da/ en die suster van Aha'sia), het dit reggekry om hom vir Ata'lia weg te steek, sodat sy hom nie kon doodmaak nie.^k **12** Hy is ses jaar lank by hulle in die huis van die ware God weggesteek, terwyl Ata'lia oor die land regeer het.

23 In die sewende jaar het Joja'da moedig opgetree en 'n verbond gemaak met die hoofde oor 100,^l naamlik Asar'

HFST. 22

a 1Kn 19:16
2Kn 9:20, 21

b 2Kn 9:6, 7

c 2Kn 10:10-14

d 2Kn 9:27, 28

e 2Kr 17:3, 4

f 2Kr 22:2

g 2Kn 11:1-3

h 2Kn 11:21

i 2Kn 8:16

j 2Kr 23:1

k 2Sa 7:12, 13
1Kn 15:4
2Kr 21:7

HFST. 23

l 2Kn 11:4

Tweede kol.

a 2Kr 8:14

b 2Sa 5:3

c 2Sa 7:8, 12
1Kn 2:4
1Kn 9:5
Ps 89:20, 29

d 1Kr 24:3

e 2Kn 11:5-8
1Kr 9:22-25
1Kr 26:1

f 1Kn 7:1

g 1Kn 7:12

h 1Kr 23:28, 32

i 2Kn 11:9-12

j 1Kr 24:1
1Kr 26:1

ja, die seun van Jero'ham, Ismael, die seun van Joha'nán, Asar'ja, die seun van Obed, Maäse'ja, die seun van Ada'ja, en Elisa'fat, die seun van Sigrí. **2** Daarna het hulle deur die hele Juda gegaan en die Leviete^a uit al die stede van Juda en die hoofde van die vaderhuise van Israel bymekaargeroep. Toe hulle in Jerusalem aankom, **3** het die hele gemeente 'n verbond met die koning gemaak^b in die huis van die ware God, en daarna het hy vir hulle gesê:

"Die koning se seun sal regeer, want Jehovah het belowe dat die nakomelinge van Dawid sal regeer.^c **4** Dit is wat julle moet doen: 'n Derde van die priesters en van die Leviete wat op die Sabbat aan diens gaan wees,^d moet deurwagters wees.^e **5** 'n Derde moet by die paleis van die koning^f staan, 'n derde moet by die Fondamentpoort staan en die hele volk moet in die voorhove van die huis van Jehovah^g staan. **6** Moet niemand in die huis van Jehovah laat ingaan nie, behalwe die priesters en die Leviete wat aan diens is.^h Hulle mag ingaan, want hulle is 'n heilige groep, en die hele volk moet gehoorsaam wees aan wat Jehovah gesê het. **7** Die Leviete moet die koning omring, elkeen met sy wapens in sy hand. Enigiemand wat in die huis ingaan, moet doodgemaak word. Bly by die koning waar hy ook al gaan."

8 Die Leviete en die hele Juda het presies gedoen wat die priester Joja'da beveel het. Al die hoofde het hulle manne bymekaargeroep – dié wat op die Sabbat aan diens was, sowel as dié wat nie op die Sabbat aan diens was nieⁱ – want die priester Joja'da het seker gemaak dat al die afdelings^j daar is. **9** Die

22:7 *Lett. "seun". 22:9 *Lett. "gesoek". 22:10 *Lett. "al die saad van die koninkryk".

priester Joja'da het toe vir die hoofde oor 100^a die spiese, die klein skilde* en die ronde skilde gegee wat aan koning Dawid behoort het^b en wat in die huis van die ware God was.^c **10** Hy het al die manne reg rondom die koning, naby die altaar en die huis, laat staan. Hulle het met hulle wapens* in hulle hande gestaan, van die regterkant van die huis af tot by die linkerkant van die huis. **11** Toe het hulle die koning se seun^d uitgebring en die kroon en die Getuienis^e op hom gesit en hom koning gemaak, en Joja'da en sy seuns het hom gesalf. Daarna het hulle gesê: "Lank lewe die koning!"^f

12 Toe Ata'lia die mense hoor hardloop en hoor hoe hulle die koning loof, het sy dadelik na die mense toe gegaan by die huis van Jehovah.^g **13** Sy het die koning by die pilaar* by die ingang sien staan. Die hoë amptenare^h en die trompetblasers was by die koning, en al die mense van die land was vreugdevolⁱ en het op die trompette geblaas, en die sangers met die musiekinstrumente het die leiding geneem toe die lofliedere gesing is. Ata'lia het toe haar klere geskeur en uitgeroep: "n Sameswering! n Sameswering!"

14 Maar die priester Joja'da het die hoofde oor 100, dié wat oor die leërmag aangestel was, uitgestuur en vir hulle gesê: "Neem haar tussen die rye soldate uit, en maak enigeen wat haar volg, met die swaard dood! Moet haar nie in die huis van Jehovah doodmaak nie." **15** Hulle het haar gegryp, en toe hulle by die Perdepoort van die koning se

23:9 *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. **23:10** *Of "spiese". **23:11** *Moontlik 'n boekrol wat die Wet van God bevat het. **23:13** *Lett. "sy pilaar".

HFST. 23

a 2Kn 11:4

b 2Sa 8:7

c 1Kr 26:26, 27
2Kr 5:1

d 2Kn 11:2

e De 17:18

f 1Sa 10:1, 24

g 2Kn 11:13-16

h 2Kr 23:1

i 1Kn 1:39, 40

Tweede kol.

a 2Kn 11:17, 18
2Kr 34:1, 31

b 2Kn 10:27, 28

c De 12:3
2Kr 34:1, 4

d De 13:5
1Kn 18:40

e 1Kr 23:6
1Kr 23:30, 31

f Eks 29:38
Nu 28:2

g 1Kr 9:26
1Kr 26:1, 13

h 2Kn 11:9

i 1Kn 7:7

j 2Kn 11:19, 20

HFST. 24

k 2Kn 11:21

l Ge 21:14
2Sa 3:10
2Kn 12:1

m 2Kn 12:2

paleis kom, het hulle haar daar doodgemaak.

16 Toe het Joja'da 'n verbond gemaak tussen hom, die hele volk en die koning. Hulle het belowe dat hulle sal voortgaan om die volk van Jehovah te wees.^a **17** Daarna het die hele volk na die tempel van Baäl gegaan en dit afgebreek.^b Hulle het sy altare en sy beelde stukkend geslaan,^c en hulle het Mattan, die priester van Baäl, voor die altare doodgemaak.^d **18** Toe het Joja'da die verantwoordelikheid om oor die huis van Jehovah toesig te hou, aan die priesters en die Leviete gegee wat Dawid in afdelings ingedeel het om oor die huis van Jehovah toesig te hou en om die brandoffers van Jehovah te offer^e soos die Wet van Moses vereis.^f Hulle moes dit met blydschap en met liedere doen, volgens Dawid se instruksies. **19** Hy het ook die poortwagters^g by die poorte van die huis van Jehovah laat staan om te keer dat enigiemand wat onrein is, inkom. **20** Hy het toe die hoofde oor 100,^h die belangrike manne, die heersers en die hele volk saamgeneem, en hulle het die koning van die huis van Jehovah af deur die boonste poort na die koning se paleis geneem en die koning op die troonⁱ van die koninkryk laat sit.^j **21** Al die mense van die land was bly en daar was vrede in die stad, want hulle het Ata'lia met die swaard doodgemaak.

24 Joas was sewe jaar oud toe hy koning geword het,^k en hy het 40 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Sib'ja van Berse'ba.^l **2** Terwyl die priester Joja'da nog gelewe het, het Joas bly doen wat reg is in Jehovah se oë.^m **3** Joja'-

da het vir Joas twee vrouens gekies, en Joas het seuns en dogters gehad.

4 Later was dit Joas se hartsbegeerte om die huis van Jehovah te herstel.^a 5 Toe het hy die priesters en die Leviete bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Gaan uit na die stede van Juda en samel by al die Israeliete geld in om die huis van julle God elke jaar te herstel.^b Julle moet dit dadelik doen." Maar die Leviete het dit nie dadelik gedoen nie.^c 6 Daarom het die koning die hoofpriester Joja'da geroep en vir hom gevra:^d "Hoekom het jy nie gesorg dat die Leviete die heilige belasting by die mense van Juda en Jerusalem insamel nie? Moses, die kneg van Jehovah, het gesê dat die gemeente van Israel dit moet betaal^e om die tent van die Getuienis te onderhou.^f 7 Die seuns van Ata'lia,^g daardie goddelose vrou, het destyds by die huis van die ware God ingebreek,^h en hulle het al die heilige dinge van die huis van Jehovah vir die aanbidding van die Baäls gebruik." 8 Toe is daar op die koning se bevel 'n kisⁱ gemaak, en dit is buite by die poort van die huis van Jehovah gesit.^j 9 Daarna is daar deur die hele Juda en Jerusalem 'n aankondiging gemaak dat hulle die heilige belasting^k vir Jehovah moet bring, soos Moses, die kneg van die ware God, die Israeliete in die wildernis beveel het. 10 Al die leiers en die hele volk was vreugdevol,^l en hulle het aangehou om bydraes te bring en dit in die kis te gooi totdat dit vol was.*

11 Wanneer die Leviete die kis na die koning toe gebring

24:10 *Of moontlik "totdat almal 'n bydrae gegee het".

HFST. 24

a 2Kn 22:3-5

b 2Kn 12:4, 5
2Kr 29:1, 3
2Kr 34:9, 10

c 2Kn 12:6

d 2Kn 12:7

e Eks 30:12-16

f Nu 1:50

g 2Kr 22:2, 3

h 2Kr 28:24

i Mr 12:41

j 2Kn 12:9

k Eks 30:12-16
Ne 10:32
Mt 17:24

l 1Kr 29:9

Tweede kol.

a 2Kn 12:10

b 2Kn 12:11, 12
2Kr 34:10, 11

c Eks 37:16
Nu 7:84

d Nu 28:3

e 1Kn 2:10

f 2Kr 23:1

het en gesien het dat daar baie geld daarin is, het die sekretaris van die koning en die assistent van die hoofpriester gekom en die kis leeggemaak,^a en dan het hulle dit na sy plek terugge neem. Dit is wat hulle elke dag gedoen het, en hulle het baie geld ingesamel. 12 Die koning en Joja'da het die geld gegee vir die mense wat toesig gehou het oor die werk by Jehovah se huis. En hulle het dan klipkappers en ambagsmanne gehuur om Jehovah se huis op te knap,^b en ook mense wat met yster en koper kon werk om Jehovah se huis te herstel. 13 Die toesighouers het die werk aan die gang gekry. Onder hulle toesig het die werk goed gevorder, en hulle het die huis van die ware God heeltemal herstel en dit versterk. 14 Toe hulle klaar was, het hulle die res van die geld na die koning en na Joja'da gebring, en hulle het dit gebruik om voorwerpe vir die huis van Jehovah te maak. Hulle het voorwerpe gemaak vir die diens en vir die brandoffers, sowel as bekere en voorwerpe van silwer en goud.^c En terwyl Joja'da gelewe het, het hulle gereeld brandoffers^d by die huis van Jehovah geoffer.

15 Joja'da het 'n lang en goeie lewe gehad. Hy was 130 jaar oud toe hy gesterf het. 16 Hy is in die Stad van Dawid by die konings begrawe,^e want hy het goeie dinge in Israel gedoen^f vir die ware God en Sy huis.

17 Ná Joja'da se dood het die leiers van Juda na die koning toe gegaan en voor hom neergebui. En van toe af het die koning na hulle raad geluister. 18 Hulle het opgehou om na die huis van Jehovah, die God van hulle voorvaders, te gaan.

En hulle het die heilige pale* en die afgode begin dien. As gevolg van hulle sonde het God kwaad geword vir[#] Juda en Jerusalem. **19** Jehovah het aangehou om profete na hulle toe te stuur om hulle na hom te laat terugkeer. En die profete het hulle bly waarsku, maar hulle wou nie luister nie.³

20 God se gees het oor Sagarî'a, die seun van die priester Joja'da,^b gekom, en hy het voor* die volk gaan staan en vir hulle gesê: "Dit is wat die ware God sê: 'Hoekom is julle nie gehoorsaam aan Jehovah se gebooie nie? Julle sal nie suksesvol wees nie! Omdat julle Jehovah verlaat het, sal hy julle verlaat.'" **21** Maar hulle het teen hom saamgesweer.^d En hulle het hom op die koning se bevel in die voorhof van Jehovah se huis met klippe doodgegooi.^e **22** Koning Joas het nie gedink aan die liefde wat Joja'da, Sagarî'a se pa, aan hom betoon het nie, en hy het sy seun, Sagarî'a, doodgemaak. Net voordat Sagarî'a gesterf het, het hy gesê: "Mag Jehovah jou hiervoor straf."^f

23 Aan die begin van die volgende jaar* het die Siriese leërmag teen Joas opgetrek, en hulle het Juda en Jerusalem binnegeval.^g Toe het hulle al die leiers^h van die volk doodgemaak, en hulle het al die buit wat hulle gevat het, na die koning van Damaskus gestuur. **24** Hoewel die Siriërs 'n klein leërmag gehad het, het Jehovah hulle die oorwinning oor die groot leërmag van Juda gegeeⁱ omdat die volk Jehovah, die God van hulle voorvaders, ver-

24:18 *Sien Woordelys. [#]Lett. "was daar woede teen". **24:20** *Of "hoër as". **24:23** *Lett. "By die wisseling van die jaar".

HFST. 24

a 2Kn 17:13, 14
2Kr 36:15, 16
Jer 7:25, 26

b 2Kr 23:11

c De 29:24, 25
1Kr 28:9
2Kr 15:2

d Jer 11:19

e Mt 23:35
Lu 11:51

f Ge 9:5
Ps 94:1
Jer 11:20
Heb 10:30

g 2Kn 12:17

h 2Kr 24:17, 18

i Le 26:17, 37
De 32:30

Tweede kol.

a 2Kr 24:20, 21

b 2Kn 12:20

c 2Sa 5:9
1Kn 2:10

d 2Kr 21:16, 20
2Kr 28:27

e 2Kn 12:21

f 2Kr 24:20

g 2Kr 24:13

HFST. 25

h 2Kn 14:1-6

i 2Kr 24:26

laat het. So is die Siriërs gebruik om Joas te straf. **25** Toe die Siriërs weggaan, was hy ernstig gewond,* en sy eie knegte het teen hom saamgesweer omdat hy die seun[#] van die priester Joja'da doodgemaak het.^a Hulle het hom op sy bed doodgemaak.^b En hulle het hom in die Stad van Dawid^c begrawe, maar nie in die grafte van die konings nie.^d

26 Die manne wat teen hom saamgesweer het,^e was: Sabad, die seun van Si'meat, 'n Ammonitiese vrou, en Jo'sabad, die seun van Simrit, 'n Moabitiese vrou. **27** Die besonderhede oor Joas se seuns, die oordele teen hom^f en die herstelwerk aan* die huis van die ware God^g is alles opgeteken in die kommentaar op die Boek van die konings. En sy seun Ama'sia het in sy plek koning geword.

25 Ama'sia was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 29 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jo'addan van Jerusalem.^h **2** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, maar nie met sy hele hart nie. **3** Toe hy ten volle in beheer was van die koninkryk, het hy sy knegte doodgemaak wat sy pa, die koning, vermoor het.ⁱ **4** Maar hy het nie hulle kinders doodgemaak nie, want hy het gebly by wat in die Wet, in die boek van Moses, geskryf staan, waar Jehovah beveel het: "Vaders mag nie vir die sonde van hulle kinders doodgemaak word nie, en kinders mag nie vir die sonde van hulle vaders doodgemaak word nie. Elkeen moet

24:25 *Of "het hy baie siektes gehad". [#]Lett. "seuns". Die meervoudsvorm word moontlik gebruik om voortreflikheid aan te dui. **24:27** *Lett. "grondvesting van".

vir sy eie sonde doodgemaak word.”^a

5 En Ama’sia het Juda bymekaargeroep en hulle volgens hulle vaderhuise ingedeel, volgens die hoofde oor 1 000 en die hoofde oor 100. Hy het dit gedoen vir die hele Juda en Benjamin.^b Hy het almal geregistreer wat 20 jaar en ouer was,^c en daar was altesaam 300 000 opgeleide* vegters wat in die leërmag kon dien en wat die spies en die groot skild kon gebruik. **6** Hy het ook 100 000 magtige vegters van Israel vir 100 talente* silwer gehuur. **7** Maar ’n man van die ware God het na hom toe gegaan en gesê: “O koning, moenie die leërmag van Israel saam met u laat gaan nie, want Jehovah is nie met Israel nie.”^d Hy is nie met E’fraim nie. **8** U moet alleen gaan veg, en wees moedig. As u hulle saamneem, kan die ware God u die geveg laat verloor, want God het die mag om julle te laat wen^e of te laat verloor.” **9** Toe het Ama’sia vir die man van die ware God gevra: “Maar wat van die 100 talente wat ek vir die soldate van Israel gegee het?” Die man van die ware God het geantwoord: “Jehovah kan vir u baie meer as dit gee.”^f **10** Toe het Ama’sia die soldate wat van E’fraim na hom toe gekom het, terug huis toe gestuur. Maar hulle was baie kwaad vir Juda en het woedend huis toe gegaan.

11 Ama’sia het sy eie soldate toe moedig na die Soutvallei^g gelei, en hy het 10 000 manne van Seir doodgemaak.^h **12** En die manne van Juda het 10 000 gevange geneem. Hulle het hulle

25:5 *Lett. “uitgesoekte”. 25:6 *’n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanb. B14.

HFST. 25

a De 24:16

b 1Sa 8:11, 12

c Nu 1:2, 3

d 2Kr 19:2

e 2Kr 14:11
2Kr 20:6

f 1Sa 2:7
Spr 10:22
Hag 2:8

g 2Sa 8:13
Ps 60:Ops

h 2Kn 14:7
2Kr 20:10, 11

Tweede kol.

a 2Kr 25:9

b 1Kn 16:29

c 2Kr 8:3, 5

d Eks 20:3, 5
De 7:25
2Kr 28:22, 23

e 2Kr 24:20
Ps 115:8
Jer 2:5
Jer 10:5

f Jes 30:10

g 2Kr 16:10
2Kr 18:25, 26

h 1Sa 2:25
Spr 29:1

i 2Kn 14:8-10

na die top van die krans geneem en van die krans afgegooi, en hulle almal het hulle te pletter geval. **13** Maar die soldate wat Ama’sia teruggestuur het,^a het die stede van Juda, van Samari’a^b af tot by Bet-Horon,^c aangeval en 3 000 mense doodgemaak en baie van hulle besittings as buit geneem.

14 Nadat Ama’sia die Edomiete verslaan het, het hy teruggegaan en die gode van die manne van Seir saamgeneem. Hy het hulle vir hom as gode opgestel,^d voor hulle begin neerbuig en vir hulle offerrook laat opgaan. **15** Jehovah het baie kwaad geword vir Ama’sia, en hy het ’n profeet na hom toe gestuur wat gesê het: “Hoekom aanbid jy gode wat nie hulle eie volk uit jou hand kon red nie?”^e **16** Terwyl hy met hom gepraat het, het die koning vir hom gesê: “Bly still!^f Het ek jou raad gevra?^g Ek sal jou laat doodmaak as jy aanhou praat.” Toe het die profeet stilgebly, maar voordat hy gegaan het, het hy gesê: “Ek weet dat God besluit het om u te vernietig omdat u dit gedoen het en nie na my raad geluister het nie.”^h

17 Nadat koning Ama’sia van Juda met sy raadgewers gepraat het, het hy ’n boodskap gestuur aan koning Joas van Israel, die seun van Jo’ahas, die seun van Jehu, en gesê: “Kom, laat ons teen mekaar veg.”ⁱ **18** Koning Joas van Israel het hierdie boodskap aan koning Ama’sia van Juda gestuur: “Die doringrige onkruid in die Li’banon-berge het ’n boodskap aan die sederboom in die Li’banon-berge gestuur en gesê: ‘Gee jou dogter aan my seun as vrou.’ Maar ’n wilde dier van die Li’banon het verbygeeloop en die doringrige onkruid vertrap. **19** Jy het

gesê: 'Kyk, ek* het Edom verslaan.'^a En nou het jy hoogmoedig geword, en jy wil geëer word. Bly in jou eie paleis. Hoekom moet jy moeilikheid soek en Juda saam met jou laat val?"

20 Maar Ama'sia het nie geluister nie,^b want die ware God wou hulle in die hand van hulle vyande gee^c omdat hulle die gode van Edom aanbid het.^d

21 Toe het koning Joas van Israel teen koning Ama'sia van Juda opgetrek, en hulle het teen mekaar geveg by Bet-Semes^e in Juda. **22** Juda is deur Israel verslaan, en elkeen het na sy huis* gevlug. **23** Koning Joas van Israel het koning Ama'sia van Juda, die seun van Joas, die seun van Jo'ahas,* by Bet-Semes gevange geneem. Daarna het hy hom na Jerusalem geneem, en hy het 400 el^f van die muur van Jerusalem afgebreek, van die E'fraim-poort^g af tot by die Hoekpoort.^g

24 Hy het al die goud en silwer en al die voorwerpe geneem wat in die huis van die ware God by* Obed-Edom was en wat in die skatkamers van die koning se paleis was.^h Hy het ook gyselaars geneem, en toe het hy na Samari'a teruggekeer.

25 Ama'sia,ⁱ die seun van koning Joas van Juda, het nog 15 jaar gelewe ná die dood van Joas,^j die seun van koning Jo'ahas van Israel.^k **26** Die res van die geskiedenis van Ama'sia is van begin tot einde opgeteken in die Boek van die konings van Juda en van Israel. **27** Van die tyd af dat Ama'sia opgehou het om Jehovah te volg, het hulle in Jerusalem teen hom saamgesweer.^l Hy het na Lagis ge-

25:19 *Lett. "jy". **25:22** *Lett. "tent". **25:23** *Ook Ahasia genoem. ^aOmtrent 178 m. Sien Aanh. B14. **25:24** *Of "onder die toesig van".

HFST. 25

- a 2Kr 25:11
b 2Kn 14:11-14
c 2Kr 22:7
d 2Kr 25:14
e Jos 21:8, 16
1Sa 6:19
f Ne 8:16
Ne 12:38, 39
g 2Kr 26:9
Jer 31:38
Sag 14:10
h 1Kn 7:51
1Kn 15:18
2Kn 24:12, 13
2Kn 25:13-15
2Kr 12:9
i 2Kn 14:1
j 2Kn 13:10
k 2Kn 14:17-20
l 2Kn 12:20
2Kn 15:8, 10
2Kn 21:23

Tweede kol.

HFST. 26

- a Mt 1:8
b 2Kn 14:21
c 1Kn 9:26
2Kn 16:6
d 2Kn 14:22
e Jes 1:1
Jes 6:1
f 2Kn 15:2
g 2Kn 14:1, 3
h 2Kr 14:7
Ps 1:2, 3
i 2Sa 8:1
2Kr 21:16
Jes 14:29
j 1Kr 18:1
k Jos 15:11, 12
l Jos 15:20, 46
1Sa 5:1
m 2Kr 17:11
n Ge 19:36, 38
Rig 11:15
o 2Kr 14:2, 7
p 2Kn 14:13
Jer 31:38
Sag 14:10
q Ne 3:13
r 2Kn 9:17

vlug, maar hulle het manne agter hom aan gestuur en hom in Lagis doodgemaak. **28** Toe het hulle hom op perde teruggeneem en hom by sy voorvaders in die stad van Juda begrawe.

26 Daarna het die hele volk van Juda Ussi'a,^a wat toe 16 jaar oud was, koning gemaak in die plek van sy pa, Ama'sia.^b

2 Hy het Elot^c herbou en dit vir Juda teruggekry nadat die koning* gesterf het.^d **3** Ussi'a^e was 16 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 52 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jegol'ja van Jerusalem.^f

4 Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Ama'sia, gedoen het.^g **5** En Ussi'a het God bly dien in die tyd van Sagari'a, wat hom geleer het om die ware God te vrees. Gedurende die tyd dat hy Jehovah gedien het, het die ware God hom geseën.^h

6 Hy het teen die Filistyneⁱ gaan veg en deur die muur van Gat,^j die muur van Jabne^k en die muur van Asdod^l gebreek. Toe het hy stede gebou naby Asdod en in die gebied van die Filistyne. **7** Die ware God het hom help om te veg teen die Filistyne, teen die Arabiere^m wat in Gur-Baäl gewoon het en teen die Meüniete. **8** Die Ammonieteⁿ het aan Ussi'a skatting* begin betaal. Sy roem het uiteindelik tot by Egipte versprei, want hy het baie magtig geword. **9** Ussi'a het ook torings gebou^o in Jerusalem by die Hoekpoort,^p die Valleipoort^q en die Steunmuur, en hy het hulle versterk. **10** Hy het torings^r in die wildernis gebou en baie reënputte gegrawe* (want hy

26:2 *D.w.s. sy pa, Amasia. ^aLett. "by sy vaders neergelê is". **26:8** *Sien Woordelys. **26:10** *Of "uitgekap", waarskynlik uit rots.

het baie vee gehad). Hy het dieselfde gedoen in die Sjefe'la en op die vlakke.* Hy het landbouers en wingerdarbeiders in die berge en in Karmel gehad, want hy was lief vir boerdery.

11 En Ussi'a het 'n leërmag gehad wat toegerus was om oorlog te voer, en hulle het in afdelings oorlog gaan voer. Hulle is getel en ingedeel^a deur Jeiel, die sekretaris,^b en Maäse'ja, die beampte, onder die leiding van Hanan'ja, een van die koning se amptenare. **12** Daar was altesaam 2600 hoofde van die vaderhuise wat oor hierdie magtige vegters was. **13** En daar was 307 500 magtige vegters wat gereed was om oorlog te voer. Hulle was 'n magtige leërmag wat teen die koning se vyande kon veg.^c **14** Ussi'a het die hele leërmag toegerus met skilde, spiese,^d helms, pantsers,^e boë en slingerklippe.^f **15** Hy het ook in Jerusalem oorlogswerktuie gemaak wat deur opgeleide manne ontwerp is en waarmee pyle en groot klippe van die torings^g en die hoeke van die mure af geskiet kon word. Hy het baie hulp ontvang en het sterk geword, en daarom het sy roem wyd en syd versprei.

16 Maar toe hy magtig geword het, het hy hoogmoedig geword, en dit het tot sy ondergang gelei. Hy was ongehoorsaam aan Jehovah sy God en het in die tempel van Jehovah ingegaan om reukwerk op die reukaltaar te brand.^h **17** Die priester Asar'ja en 80 moedige priesters van Jehovah het hom dadelik gevolg. **18** Hulle het koning Ussi'a gekonfronteer en vir hom gesê: "Koning Ussi'a, u

26:10 *Of "plato". **26:14** *'n Pantser is 'n beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is.

HFST. 26

a Nu 1:2, 3
2Sa 24:9

b 2Kr 24:11

c 2Kr 11:1
2Kr 13:3
2Kr 14:8
2Kr 17:14
2Kr 25:5

d 2Kr 11:5, 12

e 1Sa 17:4, 5

f Rig 20:16
1Sa 17:49
1Kr 12:1, 2

g 2Kr 14:2, 7

h Nu 1:51

Tweede kol.

a Nu 16:39, 40
Nu 18:7

b Eks 30:7
1Kr 23:13

c 2Kr 16:10
2Kr 25:15, 16

d Nu 12:10
2Kn 5:27

e Le 13:45, 46
Nu 5:2
Nu 12:14, 15

f 2Kn 15:5-7

g Jes 1:1
Jes 6:1

h 2Kn 15:32

HFST. 27

i Jes 1:1
Ho 1:1
Mi 1:1
Mt 1:9

het nie die reg om reukwerk vir Jehovah te brand nie!^a Net die priesters mag reukwerk brand, want hulle is nakomelinge van Aäron,^b en hulle is geheilig. Gaan uit die heiligdom uit, want u was ongehoorsaam, en u sal nie eer van Jehovah God hiervoor ontvang nie."

19 Maar Ussi'a, wat 'n vuurbak in sy hand gehad het om reukwerk te brand, het woedend geword.^c En terwyl hy woedend vir die priesters was en langs die reukaltaar in die huis van Jehovah gestaan het, het melaatsheid^d op sy voorkop uitgebreek in die teenwoordigheid van die priesters. **20** Toe het Asar'ja, die hoofpriester, en al die priesters die melaatsheid op sy voorkop gesien. Hulle het hom vinnig daar uitgeneem, en hy het vinnig padgegee omdat Jehovah hom gestraf het.

21 Koning Ussi'a het tot die dag van sy dood 'n melaatse gebly. Hy het as 'n melaatse in 'n aparte huis gewoon,^e en hy is nie toegelaat om na die huis van Jehovah te gaan nie. Sy seun Jotam was oor die koning se paleis en het as regter vir die volk van die land opgetree.^f

22 En die res van die geskiedenis van Ussi'a is van begin tot einde opgeteken deur die profeet Jesaja,^g die seun van Amos. **23** Ussi'a het gesterf,^{*} en hulle het hom by sy voorvaders begrawe. Maar hulle het hom in die veld by die begraafplaas van die konings begrawe, want hulle het gesê: "Hy is 'n melaatse." En sy seun Jotam^h het in sy plek koning geword.

27 Jotamⁱ was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 16 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Jeru'sa,

26:23 * Lett. "is by sy vaders neergelê".

die dogter van Sadok.^a **2** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Ussi'a, gedoen het,^b maar in teenstelling met sy pa het hy nie in die tempel van Jehovah ingegaan nie.^c Die volk het nietemin aangehou om goddeloos op te tree. **3** Hy het die boonste poort van Jehovah se huis gebou,^d en hy het baie bouwerk aan die muur van Ofel^e gedoen. **4** Hy het ook stede^f in die bergstreek van Juda^g gebou, en hy het vestings^h en toringsⁱ in die bosagtige gebiede gebou. **5** Hy het oorlog gevoer teen die koning van die Ammoniete^j en het uiteindelik die oorhand oor hulle gekry, en daarom moes die Ammoniete daardie jaar vir hom 100 talente* silwer, 10 000 kor[#] koring en 10 000 kor gars gee. Die Ammoniete het dit ook die volgende jaar en die jaar daarna aan hom betaal.^k **6** En Jotam het al hoe magtiger geword, want hy was vasbeslote om die weë van Jehovah sy God te volg.

7 Die res van die geskiedenis van Jotam, al sy oorloë en sy daade, is opgeteken in die Boek van die konings van Israel en van Juda.^l **8** Hy was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 16 jaar lank in Jerusalem regeer.^m **9** Jotam het gesterf,ⁿ en hulle het hom in die Stad van Dawid^o begrawe. En sy seun Agas het in sy plek koning geword.^p

28 Agas^p was 20 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 16 jaar lank in Jerusalem regeer. Hy het nie gedoen wat reg is in Jehovah se oë soos sy voorvader Dawid nie.^q **2** Hy

27:5 *n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanb. B14. #n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanb. B14. 27:9 *Lett. "is by sy vaders neergelê".

HFST. 27

- a 2Kn 15:33
b 2Kn 15:34, 35
2Kr 26:3, 4
c 2Kr 26:16-18
d Jer 26:10
e 2Kr 33:1, 14
Ne 3:26
f 2Kr 11:5
2Kr 14:2, 7
g Jos 14:12, 13
h 2Kr 17:12
i 2Kn 9:17
2Kr 26:9, 10
j Rig 11:4
2Sa 10:6
2Kr 20:1
Jer 49:1
k 2Kr 26:8
l 2Kn 15:36
m 2Kn 15:33
n 2Sa 5:9
o 2Kn 15:38

HFST. 28

- p Ho 1:1
Mi 1:1
Mt 1:9
q 2Kn 16:2

Tweede kol.

- a 1Kn 12:26, 28
1Kn 16:33
b Eks 34:17
c 2Kr 33:1, 6
Jer 7:31
d De 12:31
e Le 26:30
f Jes 57:4, 5
g 2Kn 16:5, 6
2Kr 24:24
h 2Sa 8:6
1Kr 18:5
i 2Kn 15:37
Jes 7:1
j 2Kr 15:2
Ps 73:27
k 1Kn 16:23, 24
1Kn 22:51
l Rig 2:14
Rig 3:8

het eerder die weg van die konings van Israel gevolg,^a en hy het selfs metaalbeelde^b van die Baäls gemaak. **3** En hy het offerrook in die Vallei van die Seun van Hinnom* laat opgaan en sy seuns in die vuur verbrand^c omdat hy die afskuwelike gebruike gevolg het van die nasies^d wat Jehovah voor die Israeliete uit verdryf het. **4** Hy het ook aangehou om offerandes te bring en offerrook te laat opgaan op die offerhoogtes,^e op die heuwels en onder elke groot boom.^f

5 Daarom het Jehovah sy God hom in die hand van die koning van Sirië gegee,^g wat hulle verslaan het en baie mense gevangene geneem en na Damaskus^h gevat het. God het hom ook in die hand van die koning van Israel gegee, en baie van sy manne is toe doodgemaak. **6** Want Peka,ⁱ die seun van Rema'ia, het 120 000 dapper manne van Juda op een dag doodgemaak omdat hulle Jehovah, die God van hulle voorvaders, verlaat het.^j **7** En Sigrî, 'n vegter van die stam van E'fraim, het die koning se seun Maäse'ja doodgemaak, sowel as Asri'kam, wat toesig gehou het oor die paleis, en Elka'na, wat tweede in bevel onder die koning was. **8** En die Israeliete het 200 000 vrouens en kinders van Juda gevangene geneem. Hulle het ook baie goed as buit geneem en dit na Samari'a^k gevat.

9 Maar Oded, een van Jehovah se profete, het gegaan na die leë pad wat op pad was na Samari'a, en hy het vir hulle gesê: "Jehovah, die God van julle voorvaders, was kwaad vir Juda, en daarom het hy hulle in julle hand gegee.^l En julle het

28:3 *Sien Woordelys, "Gehenna".

hulle doodgemaak met 'n woude wat tot aan die hemel raak. **10** En nou wil julle die mense van Juda en Jerusalem julle slawe en slavinne maak.^a Maar wat van julle eie sondes teen Jehovah julle God? **11** Luister nou na my en stuur julle broers terug wat julle gevange geneem het, want Jehovah is woedend vir julle.”

12 Toe het party van die hoofde van die Efraimiete, Asar'ja, die seun van Joha'nan, Bereg'ja, die seun van Mesil'lemot, Jehiski'a, die seun van Sallum, en Ama'sa, die seun van Hadlai, na die manne toe gegaan wat van die oorlog af teruggekom het **13** en vir hulle gesê: “Moenie die gevangenes hier inbring nie. Wat julle wil doen, is 'n sonde teen Jehovah, en dit sal ons sondes en ons skuld nog groter maak. Ons het alreeds baie gesondig, en God is woedend vir Israel.” **14** Toe het die gewapende soldate die gevangenes en die goed wat hulle as buit geneem het,^b aan die hoë amptenare en die hele gemeente oorhandig. **15** Manne wat by naam aangewys is, het klere uit die buit geneem en dit vir die gevangenes gegee wat nie klere gehad het nie. Hulle het vir hulle klere gegee, sowel as sandale, kos, iets om te drink en olie om aan hulle vel te smeer. En hulle het die swakkes op donkies na hulle broers in Je'rigo, die Palmstad, geneem. Daarna het hulle na Samari'a teruggekeer.

16 In daardie tyd het koning Agas die konings van Assirië vir hulp gevra.^c **17** En die Edomiete het Juda weer aangeval en mense gevange geneem. **18** Die Filistyne^d het ook die stede van die Sjefe'la^e en die Nengeb van Juda aangeval, en hul-

HFST. 28

a Le 25:39, 46
2Kr 8:9

b 2Kr 28:8

c 2Kn 16:7, 8
Jes 7:10-12

d 2Kr 26:1, 6

e 2Kr 26:10

Tweede kol.

a Jos 15:10, 12

b 2Kr 11:10

c Rig 14:1

d 2Kn 15:29
2Kn 16:7, 8
1Kr 5:26e 2Kn 17:5
Jes 7:20f 2Kn 18:15, 16
2Kr 12:9

g 2Kr 25:14

h 2Kn 16:10-13

i Jer 44:18

j 2Kn 16:17

k 1Kn 6:33, 34
2Kr 29:7l 1Kn 14:22, 23
2Kn 15:32, 35
2Kr 21:5, 11
2Kr 33:1, 3

le het Bet-Semes,^a A'jalon,^b Gederot, Sogo en sy afhanklike* dorpe, Timna^c en sy afhanklike dorpe en Gimso en sy afhanklike dorpe ingeneem en daar gaan woon. **19** Jehovah het Juda verneder omdat koning Agas van Juda* toegelaat het dat Juda doen net wat hulle wil, en dit het gelei tot groot ontrouheid teenoor Jehovah.

20 Koning Til'gat-Pilne'ser^d van Assirië het later teen hom opgetrek en vir hom probleme veroorsaak,^e eerder as om hom te help. **21** Agas het vroeër die huis van Jehovah, die paleis van die koning^f en die huise van die hoë amptenare gestroop om 'n geskenk vir die koning van Assirië te gee, maar dit het hom niks gehelp nie. **22** En toe dit sleg gegaan het met koning Agas, het hy nog meer ontrou aan Jehovah geword. **23** Hy het offerandes begin bring aan die gode van Damaskus^g wat hom verslaan het,^h en hy het gesê: “Omdat die gode van die konings van Sirië hulle help, sal ek aan hulle offerandes bring, sodat hulle my kan help.”ⁱ Maar hulle was sy ondergang en ook dié van die hele Israel. **24** En Agas het die voorwerpe van die huis van die ware God geneem en dit toe stukkend gekap.^j Hy het die deure van die huis van Jehovah toegemaak^k en op elke hoek in Jerusalem vir hom altare gemaak. **25** En hy het in al die stede van Juda offerhoogtes gemaak om vir ander gode offerrook te laat opgaan,^l en hy het Jehovah, die God van sy voorvaders, aanstoot gegee.

26 Die res van sy geskiedenis, al sy dade, is van begin tot einde opgeteken in die Boek van die konings van Juda en van

28:18 * Of “omliggende”. **28:19** * Lett. “Israel”.

Israel.^a **27** Agas het gesterf,* en hulle het hom in die stad, in Jerusalem, begrawe. Hulle het hom nie in die grafte van die konings van Israel begrawe nie.^b En sy seun Hiski'a het in sy plek koning geword.

29 Hiski'a^c was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 29 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Abi'a, die dogter van Sagari'a.^d **2** Hy het bly doen wat reg is in Jehovah se oë,^e net soos sy voorvader Dawid gedoen het.^f **3** In sy eerste regeringsjaar, in die eerste maand, het hy die deure van die huis van Jehovah oopgemaak en hulle herstel.^g **4** Toe het hy die priesters en die Leviete op die plein oos van die tempel bymekaar laat kom. **5** Hy het vir hulle gesê: "Leviëte, luister na my. Heilig julle^h en heilig die huis van Jehovah, die God van julle voorvaders, en verwyder alles wat onrein is uit die heiligdom.ⁱ **6** Want ons vaders was ontrou en het gedoen wat sleg is in die oë van Jehovah ons God.^j Hulle het hom verlaat en hulle rug op die tabernakel en op Jehovah gedraai.^k **7** Hulle het ook die deure van die portaal/ toegemaak en die lampe doodgemaak.^m Hulle het opgehou om reukwerk te brandⁿ en om brandoffers^o in die heiligdom aan die God van Israel te offer. **8** Daarom het Jehovah so kwaad geword vir Juda en Jerusalem^p dat hy hulle swaar gestraf het* en 'n bespotting laat word het, soos julle met julle eie oë kan sien.^q **9** En ons voorvaders is deur die swaard doodgemaak,^r en ons seuns, ons dogters en ons vrouens is as gevangenes weggeneem.^s

28:27 *Lett. "is by sy vaders neergelê".
29:8 *Of "iets afgrysligs gemaak het".

HFST. 28

- a 2Kn 16:19
b 2Kr 21:16, 20
2Kr 33:20

HFST. 29

- c Jes 1:1
Ho 1:1
Mt 1:10
d 2Kn 18:1, 2
e 2Kr 31:20
f 1Kn 15:5
2Kn 18:3
g 1Kn 6:33, 34
2Kr 28:24
h 1Kr 15:11, 12
i 2Kn 18:4
j 2Kr 28:22, 23
Jer 44:21
k Jer 2:27
Ese 8:16
l 1Kn 6:33, 34
m Le 24:2
n Eks 30:8
o Eks 29:38
p 2Kr 24:18
q Le 26:32
De 28:15, 25
r Le 26:14, 17
s 2Kr 28:5-8

Tweede kol.

- a 2Kr 15:10-13
b Nu 3:6
De 10:8
c 1Kr 23:13
d Nu 4:2, 3
1Kr 23:12
e 1Kr 23:21
f 1Kr 23:7
g 1Kr 15:16, 17
1Kr 25:1, 2
h 1Kr 25:5
i 1Kr 25:1
j 2Kr 29:5
k 1Kn 6:36
l 2Kn 23:4, 6
2Kr 15:16
Joh 18:1
m 1Kn 6:3
1Kr 28:11

10 Nou is dit my hartsbegeerte om 'n verbond te maak met Jehovah, die God van Israel,^a sodat sy woede teenoor ons kan bedaar. **11** My seuns, dit is nou die tyd om julle pligte af te skeep nie, want Jehovah het julle uitgekies om sy dienaars te wees^b en om sy offerandes te offer.^c

12 Toe het die volgende Leviete met die werk begin: Van die Kehatiete:^d Mahat, die seun van Ama'sai, en Joël, die seun van Asar'ja. Van die Merariëte:^e Kis, die seun van Abdi, en Asar'ja, die seun van Jehal'lelel. Van die Gersoniete:^f Joag, die seun van Simma, en Eden, die seun van Joag. **13** Van die seuns van Eli'safan: Simri en Jeüel. Van die seuns van Asaf:^g Sagari'a en Mattan'ja. **14** Van die seuns van Heman:^h Jehi'el en Si'meï. Van die seuns van Jedu'tun:ⁱ Sema'ja en Us'siël. **15** Toe het hulle hulle broers bymekaar geroep, en elkeen het homself geheilig. Daarna het hulle die huis van Jehovah gaan reinig, net soos Jehovah hulle deur middel van die koning beveel het.^j **16** Die priesters het in die huis van Jehovah ingegaan om dit te reinig en het alles wat onrein was, uit die tempel van Jehovah gebring, en hulle het dit na die voorhof^k van die huis van Jehovah geneem. En die Leviete het dit na die Kidron-vallei geneem.^l **17** Hulle het op die eerste dag van die eerste maand met die heiliging begin, en op die agtste dag van die maand het hulle gevorder tot by die portaal van Jehovah.^m Dit het hulle agt dae geneem om die huis van Jehovah te heilig, en op die 16de dag van die eerste maand was hulle klaar.

18 Daarna het hulle na koning Hiski'a toe gegaan en gesê:

“Ons het die hele huis van Jehovah gereinig, die brandoffer-altaar^a en al sy voorwerpe^b en die tafel vir die stapelbrode^{*c} en al sy voorwerpe. **19** En ons het al die voorwerpe wat die ontroue koning Agas^d uit die tempel verwyder het, gereedgemaak en geheilig,^e en dit is voor die altaar van Jehovah.”

20 En koning Hiski'a het vroeg opgestaan en die leiers van die stad bymekaargeroep, en hulle het na die huis van Jehovah gegaan. **21** Hulle het sewe bulle, sewe ramme, sewe ramlammers en sewe bokramme as 'n sonde-offer vir die koninkryk, vir die heiligdom en vir Juda gebring.^f Toe het hy vir die priesters, die nakomelinge van Aäron, gesê om dit op die altaar van Jehovah te offer. **22** Hulle het die beeste geslag,^g en die priesters het die bloed geneem en dit op die altaar gesprinkel.^h Daarna het hulle die ramme geslag en die bloed op die altaar gesprinkel, en toe het hulle die ramlammers geslag en die bloed op die altaar gesprinkel. **23** Daarna het hulle die bokramme van die sonde-offer na die koning en die gemeente geneem en hulle hande op die bokramme gesit. **24** Die priesters het die bokramme geslag en hulle as 'n sonde-offer geoffer. Hulle het die bloed op die altaar uitgegooi om vir die hele Israel versoening te doen, want die koning het gesê dat die brandoffer en die sonde-offer vir die hele Israel geoffer moet word.

25 Intussen het hy die Leviete by die huis van Jehovah laat staan met simbale, met harpeⁱ en ander snaarinstrumente, soos Dawid^j en Gad,^k die koning se siener, en die profeet Natan^l

29:18 *D.w.s. die offerbroede.

HFST. 29

a 2Kr 4:1

b 1Kn 7:40

c 1Kn 7:48

d 2Kr 28:1, 2
2Kr 28:24

e 2Kr 29:5

f Le 4:3
Le 4:13, 14
Nu 15:22-24

g Le 4:4

h Le 4:7, 18

i 1Kr 25:1, 6
2Kr 9:11

j 1Kr 28:12, 13
2Kr 8:12, 14

k 2Sa 24:11, 12
1Kr 29:29

l 2Sa 7:2
2Sa 12:1

Tweede kol.

a Nu 10:8
1Kr 15:24

b Le 1:3, 4

c 2Sa 23:1

d 1Kr 16:7

e Le 1:3

f 1Kn 3:4
1Kn 8:63
1Kr 29:21, 22

beveel het, want dit was 'n opdrag wat van Jehovah self gekom het deur middel van sy profete. **26** Die Leviete het dus met die instrumente van Dawid op hulle plekke gestaan, en die priesters met die trompette.^a

27 Toe het Hiski'a gesê dat die brandoffer op die altaar geoffer moet word.^b En toe hulle dit begin doen, het die sangers die lied van Jehovah begin sing en is daar op die trompette geblaas onder begeleiding van die instrumente van Dawid, die koning van Israel. **28** En die hele gemeente het neergebuig terwyl die lied gesing is en daar op die trompette geblaas is. Dit het aangehou totdat die brandoffer klaar was. **29** En nadat hulle die brandoffer geoffer het, het die koning en almal wat by hom was, op hulle knieë gegaan en neergebuig. **30** Koning Hiski'a en die leiers het toe vir die Leviete gesê om Jehovah met die woorde van Dawid^c en van die siener Asaf^d te loof. Daarom het hulle lofliedere met groot vreugde begin sing, en hulle het op hulle knieë gegaan en neergebuig.

31 Toe het Hiski'a gesê: “Julle is nou afgesonder^{*} vir die diens van Jehovah. Bring offerandes en dankoffers na die huis van Jehovah.” En die gemeente het offerandes en dankoffers begin bring, en elkeen met 'n gewillige hart het brandoffers gebring.^e **32** Die gemeente het 70 beeste, 100 ramme en 200 ramlammers as 'n brandoffer aan Jehovah gebring.^f **33** Hulle het ook 600 beeste en 3 000 skape as heilige offers gebring. **34** Maar daar was nie genoeg priesters om die velle van die diere af te slag wat as brandoffers

29:31 *Lett. “Nou het julle julle hand gevul”.

geoffer moes word nie. Daarom het hulle broers, die Leviete, hulle gehelp^a totdat die werk klaar was en totdat die priesters hulleself kon heilig,^b want die priesters was nie so ywerig* soos die Leviete om hulleself te heilig nie. **35** En daar was baie brandoffers^c en vetstukke van die vrede-offers*^d sowel as drankoffers wat saam met die brandoffers geoffer is.^e So is die diens by die huis van Jehovah weer ingestel. **36** Hiskí'a en die hele volk was vreugdevol oor wat die ware God vir die volk gedoen het,^f want dit het alles so vinnig gebeur.

30 Hiskí'a het 'n boodskap aan die hele Israel^g en Juda gestuur – hy het selfs briewe aan E'fraim en Manas'se^h geskryf – om te sê dat hulle na die huis van Jehovah in Jerusalem moet gaan om die Pasga vir Jehovah, die God van Israel, te hou.ⁱ **2** Maar die koning, sy hoë amptenare en die hele gemeente in Jerusalem het besluit om die Pasga in die tweede maand te hou,^j **3** want hulle kon dit nie op die gewone tyd hou nie^k omdat daar nie genoeg priesters was wat hulleself geheilig het nie^l en omdat die volk nie in Jerusalem bymeekaar gekom het nie. **4** Die koning en die hele gemeente het gedink dat dit 'n goeie reëling is. **5** Daarom het hulle besluit om 'n boodskap te stuur aan die hele Israel, van Berse'ba tot Dan,^m om te sê dat die volk na Jerusalem moet kom om die Pasga vir Jehovah, die God van Israel, te hou. Want hulle het dit vir 'n lang tyd nie as 'n groep gehou, soos die Wet vereis het nie.ⁿ

29:34 *Lett. "opreg van hart". 29:35 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 29

a Nu 8:19
2Kr 30:17
2Kr 35:10, 11

b 2Kr 30:2, 3

c 2Kr 29:32

d Le 3:1
Le 3:14-16

e Nu 15:5

f 2Kr 30:12

HFST. 30

g 2Kr 11:14, 16

h 2Kr 34:1, 6, 7

i Eks 12:43
Le 23:5
De 16:2
2Kr 35:1

j Nu 9:10, 11

k Eks 12:18

l 2Kr 29:34

m Rig 18:29

n 2Kr 35:18

Tweede kol.

a 2Kn 15:29
1Kr 5:26
2Kr 28:20, 21

b 2Kr 29:8, 9

c Eks 32:9

d De 12:5, 6
Ps 132:13

e 2Kr 29:10

f 1Kn 8:49, 50

g De 30:1-3

h Eks 34:6
Ps 86:5
Mi 7:18

i 2Kr 15:2
Jes 55:7
Jak 4:8

j 2Kr 30:1

k 2Kr 36:15, 16

l 2Kr 11:14, 16

6 Toe het die boodskappers* op die koning se bevel deur die hele Israel en Juda gegaan met die briewe van die koning en sy hoë amptenare, wat gesê het: "Israëliete, keer terug na Jehovah, die God van Abraham, Isak en Israel, sodat hy kan terugkeer na julle wat oorgebly het ná die aanvalle van die konings van Assi'rië.^a

7 Moenie soos julle voorvaders en julle broers wees wat ontrou aan Jehovah, die God van hulle voorvaders, was nie. Hy het hulle swaar gestraf,* soos julle kan sien.^b **8** Moenie hardkoppig wees soos julle voorvaders nie.^c Doen wat Jehovah wil hê en gaan na sy heiligdom^d wat hy vir ewig as heilig afgesonder het, en dien Jehovah julle God sodat sy woede teenoor julle kan bedaar.^e **9** As julle na Jehovah terugkeer, sal dié wat julle broers en julle seuns gevange geneem het, genade aan hulle betoon^f en hulle na hierdie land laat terugkeer.^g Want Jehovah julle God is vol medelye* en genade,^h en hy sal julle nie verwerp as julle na hom terugkeer nie."ⁱ

10 En die boodskappers* het van stad tot stad deur die hele land van E'fraim en Manas'se gegaan,^j selfs tot by Se'bulon, maar die volk het hulle gespot en hulle uitgelag.^k

11 Maar sommige uit Aser, Manas'se en Se'bulon was gehoorsaam en het na Jerusalem gegaan.^l **12** Die ware God het Juda gehelp om die bevel van die koning en die leiers, wat in werklikheid van Jehovah gekom het, eensgesind te gehoorsaam.

13 'n Groot skare, 'n baie groot gemeente, het in Je-

30:6, 10 *Lett. "hardlopers". 30:7 *Of "iets afgrysliks gemaak". 30:9 *Sien Woordelys.

rusalem bymeakaargekom om die Fees van die Ongesuurde Brode^a in die tweede maand te hou.^b **14** Hulle het die altare en al die reukaltare^c verwyder wat in Jerusalem was^d en dit in die Kidron-vallei gegooi. **15** Toe het hulle die Pasga-offer op die 14de dag van die tweede maand geslag. Die priesters en die Leviete het skaam geword, en daarom het hulle hulleself geheilig en brandoffers na die huis van Jehovah gebring. **16** Hulle het op hulle plekke gaan staan, soos vereis deur die Wet van Moses, die man van die ware God. Toe het die priesters die bloed wat hulle van die Leviete ontvang het, op die altaar gesprinkel.^e **17** Baie in die gemeente het hulle nie geheilig nie, en die Leviete moes die Pasga-offers slag vir almal wat nie rein was nie,^f om hulle vir Jehovah te heilig. **18** Want 'n groot deel van die volk, veral dié uit E'fraim, Manas'se,^g Is-saskar en Se'bulon, het hulle nie gereinig nie, maar hulle het die Pasga nog steeds geëet, al was dit teen die Wet. Maar Hiski'a het vir hulle gebed en gesê: "Mag Jehovah, wat goed is,^h elkeen vergewe **19** wat sy hart voorberei het om die ware God, Jehovah, die God van sy voorvaders, te aanbid,ⁱ al was hy nie rein vir die heilige viering nie."^j **20** En Jehovah het na Hiski'a geluister en die volk vergewe.*

21 Die Israëliete wat in Jerusalem was, het die Fees van die Ongesuurde Brode^k sewe dae lank met groot blydschap gevier.^l En die Leviete en die priesters het Jehovah dag ná dag geloof en voor Jehovah op hulle musiekinstrumente gespeel.^m **22** Hiski'a het al die Leviete wat

30:20 *Lett. "genees".

HFST. 30

a Le 23:6

b Nu 9:10, 11

c 2Kr 28:24

d 2Kn 18:22

e Le 1:5

f 2Kr 29:34

g 2Kr 30:1

h Ps 86:5

i 2Kr 19:2, 3

Esr 7:10

j Nu 9:6, 10

k Le 23:6

l De 12:5, 7

Ne 8:10

m 2Kr 29:25

Tweede kol.

a Le 23:6

b Le 3:1

c 1Kn 8:65

d 2Kr 35:7, 8

e 2Kr 29:34

f 2Kr 30:11, 18

g Eks 12:49

h 1Kn 8:65, 66

i Nu 6:23-26

De 10:8

HFST. 31

j Eks 23:24

k De 7:5

2Kn 18:1, 4

2Kr 14:2, 3

2Kr 34:1, 3

l De 12:2

m 2Kr 23:16, 17

n 2Kr 30:1, 18

Jehovah met goeie oordeel gedien het, aangemoedig. En hulle het gedurende die sewe dae van die fees geëet,^a vrede-offers* geoffer^b en Jehovah, die God van hulle voorvaders, gedank.

23 Toe het die hele gemeente besluit om dit nog sewe dae te hou, en hulle het dit nog sewe dae met groot blydskap gehou.^c

24 En koning Hiski'a van Juda het vir die gemeente 1 000 bulle en 7 000 skape bygedra, en die leiers het vir die gemeente 1 000 bulle en 10 000 skape bygedra.^d En 'n groot aantal priesters het hulleself geheilig.^e

25 En die hele gemeente van Juda, die priesters, die Leviete, die hele gemeente wat van Israel gekom het^f en die uitlanders^g wat van die land van Israel gekom het en dié wat in Juda gewoon het, was die hele tyd vreugdevol.

26 En daar was groot blydskap in Jerusalem, want dit was die eerste keer vanaf die dae van Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, dat so iets in Jerusalem gebeur het.^h

27 Toe het die Levitiese priesters opgestaan en die volk geseën.ⁱ God het hulle stem gehoor, en hulle gebed het sy heilige woonplek, die hemel, bereik.

31 Ná die fees het al die Israëliete wat daar was, na die stede van Juda gegaan, en hulle het die heilige pilare stukkend gekap,^j die heilige pale* afgekap^k en die offerhoogtes^l en die altare^m in die hele Juda en Benjamin sowel as in E'fraim en Manas'seⁿ afgebreek. Hulle het dit heeltemal vernietig, en daarna het al die Israëliete huis toe gegaan, na die stede waar hulle gewoon het.

30:22 *Of "gemeenskapsoffers". 31:1

*Sien Woordelys.

2 Toe het Hiski'a elkeen van die priesters en die Leviete in hulle afdelings ingedeel,^a volgens die diens wat hulle moes verrig.^b Hulle het die brandoffers en die vrede-offers* geoffer, diens verrig en God gedank en geloof in die poorte van die voorhowe^c van Jehovah.^c 3 Die koning het van sy eie goed bygedra vir die brandoffers,^d insluitende die brandoffers vir die oggend en die aand,^e die brandoffers vir die Sabbate,^f die nuwemane^g en die fees-te,^h volgens wat in die Wet van Jehovah geskryf is.

4 En hy het die inwoners van Jerusalem beveel om vir die priesters en die Leviete die deel te gee wat hulle moes kry,ⁱ sodat hulle hulle ten volle kon wy aan die Wet van Jehovah. 5 Onmiddellik nadat hy die bevel gegee het, het die Israëliete groot hoeveelhede van hulle eerste opbrengste* gegee. Hulle het 'n tiende van hulle graan gegee, sowel as van hulle nuwe wyn, olie,^j heuning en van alles wat hulle goeies het.^k En dit was baie.^l 6 En die mense van Israel en van Juda wat in die stede van Juda gewoon het, het ook 'n tiende van hulle beeste en skape gebring, sowel as 'n tiende van die heilige dinge^m wat vir Jehovah hulle God opsygesit is. Hulle het dit gebring en dit in hope gesit. 7 Hulle het in die derde maandⁿ begin om hope te maak van al die bydraes, en hulle het in die sewende maand^o klaargemaak. 8 Toe Hiski'a en die leiers gekom het en die hope gesien het, het hulle Jehovah geloof en sy volk Israel geseën.

31:2 *Of "gemeenskapsoffers".
"Lett. "kampe". 31:5 *Of "hulle eerstelinge". Sien Woordelys.

HFST. 31

- a 1Kr 23:6
1Kr 24:1
b 2Kr 8:14
c 1Kr 23:13
1Kr 23:27-30
d 2Kr 30:24
e Eks 29:39
f Nu 28:9
g Nu 10:10
h De 16:16
i Nu 18:21
Ne 10:38, 39
j Nu 18:12
k Eks 22:29
Eks 23:19
Ne 10:37
l Spr 3:9
m Le 27:30
De 14:28
n Le 23:16
o Le 23:24

Tweede kol.

- a Nu 18:8
b Mal 3:10
c Ne 10:38, 39
Ne 12:44
d Le 27:30
De 14:28
e 1Kr 26:17, 19
f De 12:5, 6
De 16:10
g Nu 18:8
h Le 2:10
Le 7:1
i Jos 21:19
j 1Kr 24:1

9 Hiski'a het die priesters en die Leviete gevra oor al die hope. 10 Asar'ja, die hoofpriester van die huis van Sadok, het vir hom gesê: "Vandat hulle die bydraes na die huis van Jehovah begin bring het,^a is daar meer as genoeg om te eet, en dit alles het oorgebly, want Jehovah het sy volk geseën."^b

11 Toe het Hiski'a vir hulle gesê om stoorkamers*^c in die huis van Jehovah gereed te maak, en hulle het dit gedoen. 12 Hulle het die bydraes, die tiendes,^d en die heilige dinge getrou ingebring. Konan'ja, die Leviet, is aangesiel om toesig daaroor te hou, en sy broer Si'meï was tweede in bevel. 13 Koning Hiski'a het die volgende manne aangesiel om Konan'ja en sy broer Si'meï te help: Jehi'ël, Asas'ja, Nahat, A'sahel, Je'rimot, Jo'sabad, E'liël, Jismag'ja, Mahat en Benaj'a. En Asar'ja het toesig gehou oor die huis van die ware God. 14 En Kore, die seun van Jimna, die Levitiese poortwagter aan die oostekant,^e het toesig gehou oor die vrywillige bydraes^f vir die ware God, en hy het die bydraes vir Jehovah^g en die besonder heilige dinge verdeel.^h 15 Onder sy leiding was Eden, Min'jamin, Je'sua, Sema'ja, Amar'ja en Segan'ja. Hulle was in die stede van die priestersⁱ en het die verantwoordelikheid gehad om vir hulle broers in die afdelings,^j jonk sowel as oud, 'n gelyke deel te gee. 16 Hulle het die bydraes ook uitgedeel aan almal wat in die geslagsregister ingeskryf was, dit wil sê die mans wat elke dag by die huis van Jehovah kom dien het om die pligte van hulle afdelings na te kom en hulle seuns van drie jaar en ouer.

31:11 *Of "eetkamers".

17 Die priesters was volgens hulle vaderhuise^a en volgens die pligte van hulle afdelings^b in die geslagsregister ingeskryf, en dit was ook die geval met die Leviete wat 20 jaar en ouer was.^c

18 Die geslagsregister het die name van al die Leviete en hulle families ingesluit, hulle kinders, hulle vrouens, hulle seuns en hulle dogters. (Hulle het altyd seker gemaak dat hulle heilig is omdat hulle heilige diens moes verrig.) **19** Die geslagsregister het ook die nakomelinge van Aäron ingesluit, dit wil sê die priesters wat in die weivelde om hulle stede gewoon het.^d In al die stede was daar manne wat by naam aangewys is om dele te gee aan elke manlike persoon onder die priesters en aan elkeen wat ingeskryf was in die geslagsregister van die Leviete.

20 So het Hiski'a in die hele Juda gedoen, en hy het bly doen wat goed en reg en getrou was in die oë van Jehovah sy God. **21** Alles wat hy aangepak het om sy God te dien, het hy met sy hele hart gedoen – of dit nou te doen gehad het met die diens in die huis van die ware God^e of met die Wet en die gebod. En hy was suksesvol.

32 Nadat Hiski'a al hierdie dinge getrou gedoen het,^f het koning San'herib van Assi'rië Juda binnegeval. Hy het die versterkte stede beleër met die doel om deur hulle mure te breek en die stede in te neem.^g

2 Toe Hiski'a sien dat San'herib gekom het om teen Jerusalem oorlog te voer, **3** het hy met sy hoë amptenare en vegters gepraat en toe besluit om die fontein buite die stad toe te stop,^h en hulle het hom ondersteun. **4** Baie mense is bymekaareroep, en hulle het al die fontein en die stroom wat

HFST. 31

a 1Kr 24:4

b 1Kr 23:6

c Nu 4:2, 3
Nu 8:24
1Kr 23:24d Le 25:33, 34
Nu 35:2
Jos 21:13

e 2Kr 29:35

HFST. 32

f 2Kr 31:20

g 2Kn 18:7, 13
Jes 36:1

h 2Kn 20:20

Tweede kol.

a 2Sa 5:9
1Kn 9:24
1Kn 11:27
2Kn 12:20

b 2Kn 19:6

c De 31:6, 8
Jos 1:6, 9
2Kn 6:16, 17
2Kr 20:15d Nu 14:9
De 20:1, 4
Jos 10:42
Jer 17:5

e 2Kr 20:20

f Jes 37:8

g 2Kn 18:17
Jes 36:2h 2Kn 18:19
Jes 36:4i 2Kn 18:29, 30
2Kn 19:10

j 2Kn 18:1, 4

k 2Kr 31:1

deur die land vloei, toegestop en gesê: “Ons wil nie hê dat die konings van Assi'rië baie water moet vind wanneer hulle kom nie.”

5 En hy het hard gewerk om die deel van die muur wat afgebreek was, te herstel, en hy het torings daarop gebou en aan die buitekant nog 'n muur gebou. Hy het ook die Wal^{*a} van die Stad van Dawid herstel, en hy het baie wapens^b en skilde gemaak. **6** Hy het hoofde van die leërmag oor die volk aangestel en hulle laat bymekaarkom op die openbare plein van die stadspoort. Hy het hulle moed ingepraat en gesê: **7** “Wees moedig en sterk. Moenie vrees nie en moenie bang wees vir die koning van Assi'rië^b en sy groot leërmag nie, want daar is meer by ons as by hom.^c **8** Hy het net mense om hom te help,^{*} maar ons het Jehovah ons God om ons te help en om vir ons te veg.”^d En die woorde van koning Hiski'a van Juda het die volk versterk.^e

9 Daarna het koning San'herib van Assi'rië, wat toe met sy hele leërmag by Lagis was,^f knegte na koning Hiski'a van Juda en na al die Judeërs in Jerusalem gestuur^g om te sê:

10 “Dit is wat koning San'herib van Assi'rië, sê: ‘Waarop vertrou julle dat julle in Jerusalem bly, al weet julle dat ek dit gaan aanval?’^h **11** Hiski'a mislei julle en hy gaan julle van honger en dors laat sterf, want hy sê: ‘Jehovah ons God sal ons van die koning van Assi'rië red.’ⁱ **12** Maar hierdie einste Hiski'a het julle God se offerhoogtes^j en altare^k verwyder

32:5 *Of “Millo”. 'n Hebreeuse woord wat “opvulling” beteken. ^bOf “spiese”. **32:8** *Lett. “By hom is 'n arm van vlees”.

en toe vir Juda en Jerusalem gesê: "Julle moet voor een altaar buig en julle offers daarop offer."^a **13** Weet julle nie wat ek en my voorvaders aan die volke van al die ander lande gedoen het nie?^b Kon die gode van daardie nasies hulle land uit my hand red?^c **14** Kon enigee van die gode van daardie nasies wat deur my voorvaders vernietig is, sy volk uit my hand red? Hoekom dink julle dan dat julle God julle van my sal kan red?^d **15** Moenie dat Hiski'a julle so bedrieg en mislei nie!^e Moenie julle vertrou in hom stel nie, want nie een van die gode van enige nasie of koninkryk kon sy volk van my en my voorvaders red nie. Hoe sal julle God julle dan van my kan red?"^f

16 Sy knegte het nog meer beledigende dinge oor Jehovah, die ware God, en oor sy kneg Hiski'a gesê. **17** Hy het ook briewe geskryf^g om Jehovah, die God van Israel,^h te beledig. Hy het gesê: "Net soos die gode van ander lande nie hulle volk van my kon red nie,ⁱ so sal die God van Hiski'a nie sy volk van my kan red nie." **18** Hulle het heeltyd hard uitgeroep in die Jode se taal, want hulle wou die mense van Jerusalem wat op die muur was, bang en paniekerig maak sodat hulle die stad kon inneem.^j **19** Hulle het van die God van Jerusalem gepraat asof hy soos die gode van die ander volke was, gode wat deur mense gemaak is. **20** Maar koning Hiski'a en die profeet Jesaja,^k die seun van Amos, het hieroor bly bid en God gevra om hulle te help.^l

21 Toe het Jehovah 'n engel gestuur en elke magtige soldaat, leier en hoof in die kamp van die koning van Assi'rië doodgemaak,^m en die koning van Assi'

HFST. 32

a 2Kn 18:22
Jes 36:7b 2Kn 15:29
2Kn 17:5
Jes 37:12c 2Kn 18:33, 34
2Kn 19:17, 18d Eks 14:3
Eks 15:9

e 2Kn 18:29

f Eks 5:2
De 32:27
Da 3:14, 15

g 2Kn 19:14

h Jes 37:29

i 2Kn 17:6
2Kn 19:12j 2Kn 18:26, 28
Jes 36:11, 13k 2Kn 19:2, 20
Jes 37:2l 2Kn 19:14, 15
2Kn 14:11

m Ps 76:5

Tweede kol.

a 2Kn 19:35-37
Jes 37:37, 38b 1Kn 4:21
2Kr 17:1, 5c 2Kn 20:1, 2
Jes 38:1, 2d 2Kn 20:5, 9
2Kr 32:31
Jes 38:8

e Jer 26:18, 19

f 2Kn 20:19

g 2Kr 1:11, 12
2Kr 17:1, 5

h 1Kn 9:17-19

i 1Kn 1:33, 45

j 2Kr 32:4

rië het vernederd na sy land teruggegaan. Later het hy in die tempel van sy god ingegaan, waar party van sy eie seuns hom met die swaard doodgemaak het.^a **22** So het Jehovah Hiski'a en die inwoners van Jerusalem gered van koning San'herib van Assi'rië en van al die ander, en daar was vrede in die land. **23** En baie het geskenke vir Jehovah na Jerusalem gebring, en waardevolle dinge vir koning Hiski'a van Juda.^b Van toe af het al die nasies groot respek vir hom gehad.

24 In daardie dae het Hiski'a dodelik siek geword, en hy het tot Jehovah gebid.^c God het hom geantwoord en vir hom 'n teken* gegee.^d **25** Maar Hiski'a het nie waardering getoon vir die goedheid wat aan hom betoon is nie, want hy het hoogmoedig geword. Daarom het God vir hom en vir Juda en Jerusalem kwaad geword. **26** Maar Hiski'a het nederig berou getoon,^e en die inwoners van Jerusalem het ook nederig berou getoon, en Jehovah het hulle nie in Hiski'a se tyd gestraf nie.^f

27 En Hiski'a het baie ryk geword en het baie eer ontvang.^g Hy het stoorkamers gemaak^h vir sy silwer, goud, edelstene, balsamolie, skilde en al sy ander waardevolle dinge. **28** Hy het ook stoorplekke gemaak vir sy graan, nuwe wyn en olie, en ook stalle vir sy beeste en vir sy skape en bokke. **29** Hy het ook stede vir hom laat bou en baie skape, bokke en beeste verkry, want God het hom baie besittings gegee. **30** Dit was Hiski'a wat die boonste uitloop van die Gihon-fonteinⁱ toegestop het/ en die water in 'n westelike rigting na die Stad van

32:24 *Of "voorteken".

Dawid^a gelei het. En Hiski'a was suksesvol in alles wat hy gedoen het. **31** Maar toe die leiers van Babilon woordvoerders na hom toe gestuur het om hom te vra oor die teken^{*b} wat in die land plaasgevind het,^c het die ware God Hiski'a self laat besluit wat om te doen sodat hy hom kon toets^d en kon uitvind wat in sy hart is.^e

32 Die res van die geskiedenis van Hiski'a en sy dade van lojale liefde^f is opgeteken in die verslag van die visioen van die profeet Jesaja,^g die seun van Amos, in die Boek van die konings van Juda en van Israel.^h **33** Hiski'a het gesterf,^{*} en hulle het hom begrawe teen die skuinste van die heuwel waar die grafte van die seuns van Dawid was.ⁱ En die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het by sy dood aan hom eer bewys. En sy seun Manas'se het in sy plek koning geword.

33 Manas'se^j was 12 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 55 jaar lank in Jerusalem regeer.^k

2 Hy het gedoen wat sleg is in Jehovah se oë en het die afskuwelike gebruike gevolg van die nasies wat Jehovah voor die Israeliete uit verdryf het.^l **3** Hy het die offerhoogtes herbou wat sy pa, Hiski'a, afgebreek het,^m en hy het altare vir die Baäls opgerig en heilige pale^{*} gemaak. En hy het die hele leërmag van die hemel aanbid en hulle gedien.ⁿ **4** Hy het ook altare gebou in die huis van Jehovah,^o waarvan Jehovah gesê het: "In Jerusalem sal my naam vir ewig wees."^p **5** En hy het in twee voorhove van die huis van Jehovah altare vir die

32:31 *Of "voorteken". **32:33** *Lett. "is by sy vaders neergelê". **33:3** *Sien Woordelys.

HFST. 32

- a 2Sa 5:9
b 2Kn 20:8-11
Jes 38:8
c 2Kn 20:12
Jes 39:1
d Ge 22:1
e De 8:2
Ps 7:9
Ps 139:23
f 2Kr 31:20, 21
g Jes 1:1
h 2Kn 20:20
i 1Kn 11:43

HFST. 33

- j Mt 1:10
k 2Kn 21:1
l 2Kn 21:2-6
m 2Kn 18:1, 4
n De 4:19
2Kn 23:5
o 2Kn 16:10, 11
p De 12:11
2Kr 6:6

Tweede kol.

- a 1Kn 6:36
1Kn 7:12
b 2Kn 16:1, 3
c Jos 15:8, 12
2Kn 23:10
d Le 19:26
e Le 20:6
De 18:10, 11
f 2Kn 23:6
g 2Kn 21:7-9
2Kn 23:27
2Kr 7:16
h Le 18:24
Jos 24:8
2Kn 21:11, 16
i 2Kr 36:15, 16

hele leërmag van die hemel gebou.^a **6** Hy het ook sy eie seuns as offerandes in die vuur verbrand^{*b} in die Vallei van die Seun van Hinnom.^c Hy het toorkuns beoefen,^d van waarsêery gebruik gemaak en mense aangestel wat geeste oproep,^e sowel as fortuinvertellers.^e Hy het baie dinge gedoen wat sleg is in Jehovah se oë en hom aanstoot gegee.

7 Hy het die beeld wat hy gemaak het, in die huis van die ware God gesit,^f waarvan God vir Dawid en vir sy seun Salomo gesê het: "In hierdie huis en in Jerusalem, wat ek uit al die stamme van Israel gekies het, sal ek my naam vir altyd vestig."^g **8** Ek sal Israel nooit verwyder uit die land wat ek aan hulle voorvaders gegee het nie, solank hulle streng gehoorsaam is aan alles wat ek hulle beveel het, aan die hele Wet, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevels wat deur middel van Moses gegee is." **9** Manas'se het Juda en die inwoners van Jerusalem 'n verkeerde weg laat volg en hulle erger dinge laat doen as die nasies wat Jehovah voor die Israeliete vernietig het.^h

10 Jehovah het Manas'se en sy volk bly waarsku, maar hulle het geen aandag geskenk nie.ⁱ **11** Daarom het Jehovah die hoofde van die leërmag van die koning van Assirië teen hulle gestuur, en hulle het Manas'se met hake^{*} gevange geneem, hom met twee koperboeie gebind en hom na Babilon geneem. **12** Toe dit so sleg met hom gegaan het, het hy Jehovah sy God om genade gesmeek,^{*}

33:6 *Of "deur die vuur laat gaan". *Of "spiritistiese mediums aangestel". **33:11** *Of moontlik "in die gate". **33:12** *Of "die aangesig van Jehovah sy God versag".

en hy het nederig berou getoon voor die God van sy voorvaders. **13** Hy het tot God bly bid, en sy smeekgebed het God diep geraak. God het sy versoek om genade gehoor en hom weer koning in Jerusalem laat word.^a Toe het Manas'se gewet dat Jehovah die ware God is.^b

14 Daarna het hy 'n buitemuur vir die Stad van Dawid^c gebou, wes van die Gihon-fontein^d in die vallei* en tot by die Vispoort.^e Die muur was baie hoog en het om die stad geloop tot by Ofel.^f Verder het hy hoofde van die leërmag in al die versterkte stede in Juda aangestel. **15** Hy het toe die vreemde gode en die afgodsbeeld uit die huis van Jehovah verwyder,^g asook al die altare wat hy op die berg van die huis van Jehovah^h en in Jerusalem gebou het, en hy het dit buite die stad laat gooi.

16 Hy het ook die altaar van Jehovahⁱ gereedgemaak en vredeoffers^j en dankoffers^k daarop begin offer en vir Juda gesê dat hulle Jehovah, die God van Israel, moet dien. **17** Tog het die volk nog op die offerhoogtes offerandes gebring, maar net aan Jehovah hulle God.

18 Wat die res van die geskiedenis van Manas'se betref, sy gebed tot sy God en die woorde van die sieners wat in die naam van Jehovah, die God van Israel, met hom gepraat het, dit is opgeteken in die geskiedkundige verslae van die konings van Israel. **19** En sy smeekgebed^l en hoe dit beantwoord is, al sy sondes en sy ontrouheid,^m die plekke waar hy offerhoogtes gebou en heilige pale* en beelde opgerig hetⁿ voordat hy nederig berou getoon het, dit is op-

HFST. 33

a Jes 1:18

b Da 4:25

c 2Sa 5:9
2Kr 32:2, 5

d 2Kr 32:30

e Ne 3:3

f 2Kr 27:1, 3

g 2Kn 21:1, 7

h 2Kn 21:1, 4, 5

i 2Kr 29:18

j Le 3:1

k Le 7:12

l 2Kr 33:12, 13

m 2Kn 21:2, 9

n 2Kn 21:3, 7

Tweede kol.

a 2Kn 21:18, 19

b Mt 1:10

c 2Kn 21:19-24

d 2Kr 33:1, 2

e 2Kn 21:1, 7

f Jer 8:12

g 2Kr 33:12, 13

h 2Kn 12:20
2Kr 25:27

i 2Kr 25:1, 3

j 2Kn 21:25, 26

HFST. 34

k 1Kn 13:2
Sef 1:1
Mt 1:10

l 2Kn 22:1, 2

m 2Kr 15:2

n 2Kn 23:4, 14

o 2Kr 33:17

p 2Kr 33:21, 22

geteken in die geskrifte van sy sieners. **20** Manas'se het gesterf,* en hulle het hom by sy huis begrawe. En sy seun Amon het in sy plek koning geword.^a

21 Amon^b was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het twee jaar lank in Jerusalem regeer.^c **22** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos sy pa, Manas'se, gedoen het.^d En Amon het offerandes aan al die beelde geoffer wat sy pa, Manas'se, gemaak het,^e en hy het hulle bly dien. **23** Maar hy het nie berou getoon voor Jehovah^f soos sy pa, Manas'se, gedoen het nie.^g Amon het eerder al hoe meer sondes gepleeg. **24** Later het sy knegte teen hom saamgesweer^h en hom in sy eie huis vermoor. **25** Maar die volk van die land het almal doodgemaak wat teen koning Amon saamgesweer het,ⁱ en hulle het sy seun Josi'a^j in sy plek koning gemaak.

34 Josi'a^k was agt jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 31 jaar lank in Jerusalem regeer.^l **2** Hy het gedoen wat reg is in Jehovah se oë en dieselfde weg gevolg as sy voorvader Dawid, en hy het nie regs of links daarvan afgewyk nie.

3 In die 8ste jaar nadat hy koning geword het, toe hy nog maar 'n seun was, het hy die God van sy voorvader Dawid begin dien,^m en in die 12de jaar het hy Juda en Jerusalem begin reinigⁿ deur die offerhoogtes,^o die heilige pale* en die beelde^p te verwyder. **4** Verder het hulle die altare van die Baäls voor hom afgebreek, en hy het die reukwerkstaanders afgekap wat bo-op die altare was. Hy het ook die heilige pale* en die beelde in stukke gebreek en fyngemaal

33:14 *Of "wadi". Sien Woordelys. 33:16 *Of "gemeenskapsoffers". 33:19; 34:3, 4 *Sien Woordelys.

33:20 *Lett. "is by sy vaders neergeleë".

en die poeier gestrooi oor die grafte van die mense wat voorheen offerandes aan hulle geoffer het.^a **5** En hy het die beendere van die Baälpriesters op hulle altare verbrand.^b So het hy Juda en Jerusalem gereinig.

6 En in die stede van Manas'ese, E'fraim,^c Si'meon en tot by Naf'tali en in die verwoeste plekke om hulle **7** het hy die altare afgebreek en die heilige pale* en die beelde^d fyngemaal totdat dit poeier was, en hy het al die reukwerkstaanders in die hele land van Israel afgekap.^e Daarna het hy na Jerusalem teruggekeer.

8 In die 18de jaar nadat hy koning geword het, toe hy die land en die tempel gereinig het, het hy Safan,^f die seun van Asal'ja, Maäse'ja, die stadshoof, en Joag, die geskiedskrywer, die seun van Jo'ahas, gestuur om die huis van Jehovah sy God te herstel.^g **9** Hulle het na die hoëpriester Hilki'a gegaan en vir hom die geld gegee wat na die huis van God gebring is. Die geld is ingesamel deur die Leviete wat as deurwagters gedien het en is bygedra deur Manas'ese, E'fraim en die res van Israel,^h sowel as die hele Juda en Benjamin en die inwoners van Jerusalem. **10** Toe het hulle dit gegee vir die manne wat aangestel is om oor die werk in die huis van Jehovah toesig te hou. En die werkers in die huis van Jehovah het dit gebruik om die huis te herstel. **11** Hulle het dit vir die ambagsmanne en die bouers gegee om gekapte klippe te koop, asook hout vir stutte en balke om die huis te herstel wat die konings van Juda verwaarloos het.ⁱ

34:7 *Sien Woordelys.

HFST. 34

a 2Kn 23:6

b 1Kn 13:2
2Kn 23:16

c 2Kn 23:19
2Kr 30:1

d 2Kn 17:41

e 2Kr 31:1

f 2Kn 22:12

g 2Kn 22:3-6

h 2Kr 30:11, 18

i 2Kn 12:11, 12

Tweede kol.

a 2Kn 12:15

b 1Kr 23:6

c 2Kr 20:19

d 1Kr 25:1

e 2Kr 8:14

f 2Kn 22:4

g De 17:18
De 31:24-26
Jos 1:8
2Kn 22:8

h Le 26:46

i 2Kn 22:8

j De 17:18, 19

k 2Kn 22:11-13

l 2Kn 25:22
Jer 40:14

12 En die manne het die werk getrou gedoen.^a Die Leviete Jahat en Obad'ja, van die Merariete,^b en Sagari'a en Mesul'am, van die Kehatiete,^c is as opsieners oor hulle aangestel. En ander Leviete, wat almal goeie musikante was,^d **13** het toesig gehou oor die arbeiders* en was opsieners oor al die werkers, ongeag watter werk hulle gedoen het. En party van die Leviete was sekretarisse, beampies en poortwagters.^e

14 Terwyl hulle die geld uitgehaal het wat na die huis van Jehovah gebring is,^f het die priester Hilki'a die boek van Jehovah se Wet^g gevind wat deur middel van* Moses gegee is.^h **15** Toe het Hilki'a vir Safan, die sekretaris, gesê: "EK het die Wetboek in die huis van Jehovah gevind." En Hilki'a het die boek vir Safan gegee. **16** Toe het Safan die boek na die koning toe geneem en vir hom gesê: "U knegte doen al die werk wat vir hulle gegee is. **17** Hulle het die geld wat in die huis van Jehovah was, gaan haal en dit vir die toesighouers en die werkers gegee." **18** Safan, die sekretaris, het verder vir die koning gesê: "Die priester Hilki'a het vir my 'n boek gegee." En Safan het vir die koning daaruit begin lees.ⁱ

19 Toe die koning die woorde van die Wet hoor, het hy onmiddellik sy kleres geskeur.^k **20** Daarna het die koning die volgende bevel gegee aan Hilki'a, aan Ahi'kam,^l die seun van Safan, aan Abdon, die seun van Miga, aan Safan, die sekretaris, en aan Asa'ja, die koning se kneg: **21** "Gaan raadpleeg Jehovah vir my en vir dié wat nog in Israel en in Juda oor is in

34:13 *Of "die lasdraers". 34:14 *Lett. "deur die hand van".

verband met die woorde van die boek wat gevind is, want Jehovah sal met groot woede teen ons optree omdat ons voorvaders ongehoorsaam was aan die woord van Jehovah en omdat hulle nie alles gedoen het wat in hierdie boek geskryf is nie.^a

22 Toe het Hilki'a en dié wat deur die koning gestuur is, na die profetes Hulda^b toe gegaan. Sy was die vrou van Sallum, die seun van Tikwa, die seun van Harhas, die klerebewaarder. Sy het in die nuwe deel* van Jerusalem gewoon, en hulle het daar met haar gaan praat.^c **23** Sy het vir hulle gesê: "Jehovah, die God van Israel, sê: 'Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het: **24** "Dit is wat Jehovah sê: 'Ek gaan rampspoed bring oor hierdie plek en sy inwoners,^d al die vloeke wat geskryf is in die boek^e wat hulle vir die koning van Juda gelees het. **25** Hulle het my verlaat,^f hulle laat offerrook vir ander gode opgaan en hulle het my aanstoot gegee^g deur alles wat hulle gedoen het. Daarom sal ek met groot woede teen hierdie plek optree, en my woede sal nie gebul word nie."^h **26** Maar gaan na die koning van Juda wat julle gestuur het om Jehovah te raadpleeg en sê vir hom: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Jy het die woorde van die Wet gehoor,ⁱ **27** en jy het goed gereageer* en jy het nederig berou getoon voor God toe jy sy woorde oor hierdie plek en sy inwoners gehoor het. Jy het nederig berou getoon voor my en jou klere geskeur en voor my gehuil, en daarom het ek jou gehoor,^j sê Jehovah. **28** Daarom sal ek jou in vrede laat sterf,^k en jy sal in

HFST. 34

a De 30:17, 18
De 31:16
De 31:24-26
Jos 1:8

b Eks 15:20
Rig 4:4
Lu 2:36
Han 21:8, 9

c 2Kn 22:14-20

d Jer 35:17

e Le 26:16
De 28:15
De 30:17, 18
Da 9:11

f De 28:20

g 2Kn 21:1, 3, 6
2Kr 28:1, 3

h De 29:22, 23
Jer 7:20

i 2Kr 34:19

j 2Kr 32:26
2Kr 33:11, 13

Tweede kol.

a 1Kn 21:29
Jes 39:8

b 2Kn 23:1

c 2Kn 23:2
2Kr 17:3, 9
Ne 8:3

d Esr 10:3

e De 6:5

f De 31:24-26
2Kn 22:8

g 2Kr 30:1, 12
2Kr 33:1, 16

h 2Kn 23:5

HFST. 35

i Eks 12:3-11
2Kn 23:21

j Eks 12:21

k Le 23:5
De 16:1

vrede begrawe word, en jy sal nie al die rampspoed sien wat ek oor hierdie plek en sy inwoners sal bring nie."^h

Hulle het die antwoord aan die koning oorgedra. **29** Die koning het toe al die ouermante van Juda en Jerusalem laat roep.^b **30** Daarna het die koning na die huis van Jehovah gegaan saam met al die manne van Juda, die inwoners van Jerusalem, die priesters, die Leviete – die hele volk, groot so wel as klein. Hy het al die woorde van die boek van die verbond wat in die huis van Jehovah gevind is, vir hulle voorgelees.^c **31** Die koning het op sy plek gestaan en 'n verbond met Jehovah gemaak.^d Hy het belowe om Jehovah te volg en sy gebooe, sy herinneringe en sy wetsvoorskrifte met sy hele hart en met sy hele siel^e te gehoorsaam deur die woorde van die verbond wat in die boek geskryf is,^f uit te voer. **32** En hy het almal in Jerusalem en Benjamin laat instem dat hulle die verbond sal hou. En die inwoners van Jerusalem het die verbond van God, die God van hulle voorvaders, gehou.^g **33** Josi'a het al die afskuwelike dinge* uit die hele land van Israel verwyder,^h en hy het almal in Israel gehelp om Jehovah hulle God te dien. Solank as wat hy gelewe het, het hulle Jehovah, die God van hulle voorvaders, getrou gedien.

35 Josi'a het in Jerusalem 'n Pasgaⁱ vir Jehovah gehou, en hulle het die Pasga-offer^j op die 14de dag van die eerste maand^k geslag. **2** Hy het die priesters se pligte aan hulle toegewys en hulle aangespoor om

34:22 *Of "Tweede Stadsdeel". 34:27 *Lett. "jou hart was sag". 34:28 *Lett. "tot jou vaders versamel".

34:31 *Of "die verbond met Jehovah hernu". ^aSien Woordelys. 34:33 *Of "afgode".

hulle werk in die huis van Jehovah te doen.^a **3** Daarna het hy vir die Leviete, wat die hele Israel onderrig het^b en wat vir Jehovah heilig was, gesê: "Sit die heilige Ark in die huis wat Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, gebou het.^c Julle moet dit nie meer op julle skouers dra nie.^d Dien Jehovah julle God en sy volk Israel. **4** En berei julle voor vir julle diens volgens julle vaderhuise en afdelings, net soos koning Dawid^e van Israel en sy seun Salomo voorgeskryf het.^f **5** Gaan staan in die heiligdom in groepe volgens die vaderhuise van julle broers, die res van die volk. Daar moet vir elke vaderhuis 'n groep uit die vaderhuise van die Leviete wees om hulle te help. **6** Slag die Pasga-offer^g en heilig julleself en tref voorbereidings vir julle broers sodat julle kan doen wat Jehovah deur middel van Moses beveel het."

7 Koning Josi'a het van sy eie vee 30 000 jong skaapramme en jong bokramme bygedra, sodat daar Pasga-offers kon wees vir almal wat daar was. Hy het ook 3 000 beeste bygedra.^h **8** Sy hoë amptenare het ook 'n bydrae gegee as 'n vrywillige offer vir die volk, die priesters en die Leviete. Hilki'a,ⁱ Sagari'a en Jehi'ël, die leiers van die huis van die ware God, het vir die priesters 2 600 Pasga-offers en 300 beeste gegee. **9** Konan'ja en sy broers Sema'ja en Neta'nel, tesame met Hasab'ja, Jeïel en Jo'sabad, die hoofde van die Leviete, het vir die Leviete 5 000 Pasga-offers en 500 beeste bygedra.

10 Die voorbereidings is getref, en die priesters het op hulle plekke gestaan, en die Leviete volgens hulle afdelings,^j net soos die koning beveel het.

HFST. 35

a 2Kr 23:18
2Kr 31:2b De 33:10
2Kr 17:8, 9
Ne 8:7, 8c 1Kn 6:38
2Kr 5:7d Nu 4:15
1Kr 23:25, 26

e 1Kr 23:6

f 2Kr 8:14

g Eks 12:21
2Kr 30:1, 15

h 2Kr 30:24

i 2Kn 23:4
2Kr 34:14

j 1Kr 23:6

Tweede kol.

a Eks 12:3, 6

b 2Kr 30:16

c 2Kr 29:34

d Eks 12:8
De 16:6, 7

e 1Kr 16:37

f 1Kr 23:5

g 1Kr 25:1, 2

h 1Kr 16:41, 42
1Kr 25:3

i 1Kr 26:12, 13

j Le 23:5

k 2Kn 23:21

11 Hulle het die Pasga-offers geslag,^a en die priesters het die bloed wat hulle van die Leviete ontvang het, op die altaar gesprinkel,^b en die Leviete het die diere se velle afgetrek.^c

12 Daarna het hulle die brand-offers gereedgemaak om dit uit te deel aan die res van die volk, wat in groepe volgens hulle vaderhuise ingedeel was, sodat die offers aan Jehovah geoffer kon word volgens wat in die boek van Moses geskryf is. Hulle het dieselfde met die beeste gedoen. **13** Hulle het die Pasga-offers soos gewoonlik oor die vuur gaargemaak.^{*d} En hulle het die heilige offers in potte en panne gaargemaak, en daarna het hulle dit so gou as moontlik na die res van die volk geneem. **14** Toe het hulle die Pasga-offer vir hulleself en vir die priesters voorberei, want die priesters, die nakomelinge van Aäron, het tot die aand toe die brandoffers en die vetstukke geoffer. Die Leviete het dit dus vir hulleself en vir die priesters, die nakomelinge van Aäron, voorberei.

15 En die sangers, die seuns van Asaf,^e het op hulle plekke gestaan volgens die bevel van Dawid,^f Asaf,^g Heman en Jedu'tun,^h die siener van die koning. En die poortwagters was by die verskillende poorte.ⁱ Dit was nie vir hulle nodig om hulle pos te verlaat nie, want hulle broers, die Leviete, het die Pasga-offer vir hulle voorberei. **16** En op daardie dag is alles vir die diens van Jehovah gereedgemaak sodat die Pasga gehou kon word/ en die brandoffers op die altaar van Jehovah geoffer kon word, soos koning Josi'a beveel het.^k

17 Die Israeliete wat daar was, het toe die Pasga gehou, en

35:13 *Of moontlik "gebraai".

hulle het die Fees van die Ongeuurde Brode sewe dae lank gehou.^a **18** Van die dae van die profeet Samuel af was daar in Israel nog nooit so 'n Pasga gehou nie. En nie een van die ander konings van Israel het 'n Pasga gehou soos die een wat gehou is deur Josi'a,^b die priesters, die Leviete, die inwoners van Jerusalem en almal van Juda en Israel wat teenwoordig was nie. **19** Hierdie Pasga is in Josi'a se 18de regeringsjaar gehou.

20 Later, nadat Josi'a die tempel herstel het, het koning Nego^c van Egipte opgetrek om by Kar'kemis by die Eufraat-rivier te veg. Toe het Josi'a teen hom opgetrek.^d **21** Koning Nego het boodskappers na hom toe gestuur om te sê: "Koning van Juda, hoekom kom veg jy teen my? Ek kom nie vandag om teen jou te veg nie, maar om teen 'n ander nasie te veg, en God sê dat ek gou moet maak. God is met my. Pasop dat jy hom nie teëstaan nie, anders sal hy jou vernietig." **22** Maar Josi'a wou nie omdraai nie, en hy het hom vermom^e om teen hom te veg. Hy wou nie na Nego se waarskuwing luister, wat van God af gekom het nie. Toe het hy in die Vlakte van Megid'do^f teen hom gaan veg.

23 En die boogskutters het koning Josi'a geskiet, en die koning het vir sy knegte gesê: "Wat my hier weg, want ek is ernstig gewond." **24** Toe het sy knegte hom uit die strydwa gehaal en hom in sy tweede strydwa laat ry en hom na Jerusalem geneem. Hy het gesterf en is in die graf van sy voorvaders begrawe.^g Die hele Juda en Jerusalem het oor Josi'a getreur. **25** En Jeremia^h het 'n treurlied oor Josi'a gesing, en al die sangers en

HFST. 35

a Eks 12:15
Le 23:6
De 16:3
2Kr 30:1, 21

b 2Kn 23:22, 23
2Kr 30:5, 26

c Jer 46:2

d 2Kn 23:29

e 1Kn 22:30

f Rig 1:27
Rig 5:19
Sag 12:11
Op 16:16

g 2Kn 23:30
2Kr 34:28

h Jer 1:1

Tweede kol.

a Jer 9:17, 20

b 2Kn 23:28

HFST. 36

c 1Kr 3:15
Jer 22:11

d 2Kn 23:30, 31

e 2Kn 18:14
2Kn 23:33

f 2Kn 23:29
Jer 46:2

g 2Kn 23:34
Jer 22:11, 12

h Jer 26:20, 21
Jer 36:32

i 2Kn 23:36, 37

j 2Kn 24:1
2Kn 25:1
Jer 25:1

k 2Kn 24:16
Da 1:1

l Esr 1:7
Jer 27:16
Da 1:2
Da 5:2

sangeresse^a sing tot vandag toe oor Josi'a in hulle treurliedere. En dit het 'n gewoonte geword om hierdie liedere in Israel te sing, en dit is onder die treurliedere opgeteken.

26 Wat die res van die geskiedenis van Josi'a betref en sy dae van lojale liefde in ooreenstemming met wat in die Wet van Jehovah geskryf is **27** en wat hy gedoen het, dit is van begin tot einde opgeteken in die Boek van die konings van Israel en van Juda.^b

36 Toe het die volk Jo'ahas, die seun van Josi'a,^c in die plek van sy pa koning gemaak in Jerusalem.^d **2** Jo'ahas was 23 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank in Jerusalem regeer. **3** Maar die koning van Egipte het hom uit sy posisie as koning in Jerusalem verwyder en het vereis dat die land 'n boete van 100 talente* silwer en 'n talent goud^e moet betaal. **4** En die koning van Egipte het Jo'ahas se broer Elja'kim koning oor Juda en Jerusalem gemaak en sy naam na Joja'kim verander. Nego^f het Jo'ahas na Egipte geneem.^g

5 Joja'kim^h was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar lank in Jerusalem regeer. Hy het bly doen wat sleg is in die oë van Jehovah sy God.ⁱ

6 Koning Nebukadne'sar^j van Babilon het teen hom opgetrek om hom met twee koperboeie te bind en na Babilon te neem.^k

7 En Nebukadne'sar het van die voorwerpe van die huis van Jehovah na Babilon geneem en dit in sy paleis in Babilon gesit.^l

8 Wat die res van die geskiedenis van Joja'kim betref, die af-

36:3 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14.

skuwelike dinge wat hy gedoen het en die dinge wat teen hom gevind is, dit is opgeteken in die Boek van die konings van Israel en van Juda. En sy seun Joja'gin het in sy plek koning geword.^a

9 Joja'gin^b was 18 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande en tien dae in Jerusalem regeer. En hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë.^c **10** Aan die begin van die jaar* het koning Nebukadne'sar hom na Babilon laat bring,^d saam met waardevolle goed van die huis van Jehovah.^e En hy het Sedeki'a, sy pa se broer, koning oor Juda en Jerusalem gemaak.^f

11 Sedeki'a^g was 21 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar lank in Jerusalem regeer.^h **12** Hy het bly doen wat sleg is in die oë van Jehovah sy God. Hy het nie berou getoon toe die profeet Jeremia die woorde van Jehovah verkondig het nie.ⁱ **13** Hy het ook teen koning Nebukadne'sar in opstand gekom,^j al het Nebukadne'sar hom voor God laat sweer dat hy getrou aan hom sal bly. En hy het hardkoppig gebly* en sy hart bly verhard en geweier om Jehovah, die God van Israel, te dien. **14** Al die hoofde van die priesters, sowel as die volk, was verskriklik ontrou en het al die afskuwelike dinge van die nasies gedoen, en hulle het die huis van Jehovah, wat Hy in Jerusalem geheilig het, onrein gemaak.^k

15 Jehovah, die God van hulle voorvaders, het hulle keer op keer deur middel van sy boodskappers gewaarsku, want hy het jammer gevoel vir sy volk en sy tempel.* **16** Maar hulle het die boodskappers van die ware

HFST. 36

a 2Kn 24:5, 6

b Jer 22:24

Mt 1:12

c 2Kn 24:8, 9

d 2Kn 24:10

Jer 29:1, 2

Ese 1:2

e 2Kn 24:13

Jer 27:17, 18

f 2Kn 24:17

g Jer 37:1

h 2Kn 24:18-20

Jer 52:1-3

i Jer 21:1, 2

Jer 34:2

Jer 38:14, 24

j 2Kn 24:20

Ese 17:12-15

k 2Kn 16:11

Ese 8:10, 11

Tweede kol.

a 2Kr 30:1, 10

b Jer 5:12

c Jer 20:7

d Ps 74:1

e 2Kn 24:2

f Ese 9:7

g Le 26:31

De 28:25

Ps 79:2

h Klg 2:21

i De 28:49-51

j 2Kn 20:16, 17

Jes 39:6

Jer 27:19-22

Jer 52:17

k Ps 74:4-7

l Jer 52:14

m 1Kn 9:7

2Kn 25:9, 10

Ps 79:1

n 2Kn 25:21

Ps 137:1

o Jer 27:6, 7

p Esr 1:1-3

q Le 26:34

r Jer 25:9

s Jer 25:12

Sag 1:12

t Jes 44:28

Jes 45:1

u Jer 29:14

Jer 32:42

Jer 33:10, 11

God bly spot,^a en hulle het sy woorde geïgnoreer^b en sy profete uitgelag,^c totdat Jehovah vir sy volk woedend geword het^d en daar geen hoop was dat hulle genees kon word nie.

17 Daarom het hy die koning van die Galdeërs^e teen hulle laat optrek, wat hulle jong manne in hulle heiligdom^f met die swaard doodgemaak het.^g Hy het nie jammer gevoel vir jong manne of maagde, oumense of swakkes nie.^h God het alles in sy hand gegee.ⁱ **18** Hy het al die voorwerpe, groot en klein, van die huis van die ware God, sowel as die skatte van die huis van Jehovah en die skatte van die koning en sy hoë amptenare na Babilon geneem.^j **19** Hy het die huis van die ware God afgebrand,^k die muur van Jerusalem afgebreek,^l al die versterkte torings aan die brand gestee en alles wat van waarde was, verwoes.^m **20** Hy het almal wat nie met die swaard doodgemaak is nie, as gevangenes na Babilon geneem,ⁿ en hulle het vir hom en sy seuns knegte geword^o totdat die koninkryk van Persië begin regeer het^p **21** en totdat die land sy sabbatte afbetaal het.^q Dit het vervul wat Jehovah deur middel van Jeremia gesê het.^r Die hele tyd dat die land onbewoon was, het die land gerus,^s totdat 70 jaar vervul was.^t

22 In die eerste jaar van koning Kores^t van Persië, het Jehovah hom beweeg* om 'n aankondiging regoor sy koninkryk te laat maak. Dit het vervul wat Jehovah deur middel van Jeremia gesê het.^u Die aankondiging, wat die koning ook

36:17 *Lett. "die huis van hulle heiligdom". **36:21** *Of "sabbat gehou". **36:22** *Lett. "die gees van koning Kores van Persië opgewek".

36:10 *Moontlik in die lente. **36:13**

*Lett. "het sy nek verhard". **36:15**

*Lett. "woonplek".

laat neerskryf het,^a het gesê: **23** “Dit is wat koning Kores van Persië sê: ‘Jehovah, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee,^b en hy het my die opdrag gegee

HFST. 36

a Esr 1:1-4
b Da 5:18

Tweede kol.

a Jes 44:28
b Esr 7:12, 13

om vir hom ’n huis in Jerusalem, wat in Juda is, te bou.^a Laat elkeen van julle wat deel van sy volk is, daarheen gaan, en mag Jehovah sy God met hom wees.”^b

ESRA

OORSIG

- | | |
|---|---|
| <p>1 Koning Kores se bevel om tempel te herbou (1-4)
Vorbereidings vir ballinge om uit Babilon terug te keer (5-11)</p> <p>2 Lys van ballinge wat teruggekeer het (1-67)
Tempelknegte (43-54)
Kinders van knegte van Salomo (55-57)
Vrywillige bydraes vir tempel (68-70)</p> <p>3 Altaar herbou en offerandes geoffer (1-6)
Herbouing van tempel begin (7-9)
Fondament van tempel gelê (10-13)</p> <p>4 Bouwerk teëgestaan (1-6)
Vyande stuur klagte aan koning Artasasta (7-16)
Artasasta se antwoord (17-22)
Bouwerk aan tempel stopgesit (23, 24)</p> <p>5 Jode begin weer met bouwerk (1-5)
Tattenai se brief aan koning Darius (6-17)</p> | <p>6 Darius se ondersoek en bevel (1-12)
Tempel voltooi en toegewy (13-18)
Pasga gehou (19-22)</p> <p>7 Esra kom na Jerusalem (1-10)
Artasasta se brief aan Esra (11-26)
Esra loof Jehovah (27, 28)</p> <p>8 Lys van dié wat saam met Esra teruggekom het (1-14)
Vorbereidings vir reis (15-30)
Vertrek uit Babilon en aankoms in Jerusalem (31-36)</p> <p>9 Israeliete trou met ander volke (1-4)
Esra bely volk se sondes in gebed (5-15)</p> <p>10 Verbond om uitlandse vrouens weg te stuur (1-14)
Uitlandse vrouens weggestuur (15-44)</p> |
|---|---|

1 In die eerste jaar van koning Kores^a van Persië het Jehovah hom beweeg* om ’n aankondiging regoor sy koninkryk te laat maak. Dit het vervul wat Jehovah deur middel van Jeremia^b gesê het. Die aankondiging, wat

HFST. 1

a Jes 45:1
Da 10:1
b Jer 25:12
Jer 29:14
Jer 33:10, 11

Tweede kol.

a 2Kr 36:22, 23
b Da 4:34, 35
c Jes 44:28

die koning ook laat neerskryf het,^a het gesê:

2 “Dit is wat koning Kores van Persië sê: ‘Jehovah, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee,^b en hy het my die opdrag gegee om vir hom ’n huis in Jerusalem,^c wat in Juda is, te bou. **3** Mag julle God met elkeen van

1:1 *Lett. “die gees van koning Kores van Persië opgewek”.

julle wees wat deel van sy volk is, en laat hom na Jerusalem, wat in Juda is, gaan en die huis herbou van Jehovah, die God van Israel, die ware God, wie se huis in Jerusalem was.* **4** Laat enigeen wat as 'n uitlander^a in die ryk woon, waar hy ook al is, deur sy medemens* gehelp word. Laat hulle vir hom silwer en goud gee, asook goedere en vee, saam met die vrywillige offer vir die huis van die ware God,^b wat in Jerusalem was.”

5 Toe het elkeen wat beweeg is* deur die ware God, naamlik die hoofde van die vaderhuisse van Juda en van Benjamin en die priesters en die Leviete hulle voorberei om te gaan en die huis van Jehovah, wat in Jerusalem was, te herbou. **6** Almal om hulle het hulle ondersteun* deur vir hulle voorwerpe van silwer en van goud, goedere, vee en waardevolle dinge te gee, buiten al die vrywillige offerandes.

7 Koning Kores het ook die voorwerpe van die huis van Jehovah uitgebring. Dit was die voorwerpe wat Nebukadne'sar uit Jerusalem geneem het en in die huis van sy god gesit het.^c **8** Koning Kores van Persië het Mit'redat, die skatmeester, aangestel om dit uit te bring en 'n lys daarvan te maak vir Ses'bassar,^d die hoofman van Juda.

9 Hier volg die lys van die voorwerpe: 30 mandjievormige goue houers, 1000 mandjievormige silwerhouers, 29 ander houers, **10** 30 goue bakkies, 410 silwerbakkies, 1000 ander

1:3 *Of moontlik “wat in Jerusalem is”.
1:4 *Lett. “die manne van sy plek”.
1:5 *Lett. “elkeen wie se gees opgewek is”.
1:6 *Lett. “het hulle hande versterk”.
1:8 *Moontlik Serubbabel in Esr 2:2; 3:8.

HFST. 1

a 2Kn 17:6
Jer 9:16

b Eks 35:21
1Kr 29:9
Esr 7:14-16

c 2Kn 24:11,13
2Kr 36:7,18
Esr 6:5
Da 1:1,2
Da 5:2

d Esr 5:14,16
Hag 1:1,14
Hag 2:23

Tweede kol.

a 2Kn 24:14,15
2Kr 36:20

HFST. 2

b Esr 8:1

c 2Kn 24:15,16
2Kn 25:11
2Kr 36:20

d Ne 7:6,7

e Esr 1:8,11
Hag 1:14
Mt 1:12

f Esr 3:8
Esr 5:2
Sag 3:1

g Ne 7:8-38

h Ne 6:17,18

i Esr 10:30,44
Ne 3:11

j Esr 10:26,44

k Esr 10:27,44

l Esr 10:33,44

m Jos 21:8,18
Jer 1:1

voorwerpe. **11** Daar was tevens 5 400 voorwerpe van goud en van silwer. Ses'bassar het dit alles saamgebring toe die ballinge*^a uit Babilon na Jerusalem gebring is.

2 Hier volg 'n lys van die mense van die provinsie* wat uit die gevangenskap van die ballinge gekom het.^b Dit was die mense wat in ballingskap na Babilon weggeneem is^c deur koning Nebukadne'sar van Babilon en wat later na Jerusalem en Juda teruggekeer het, elk een na sy eie stad,^d **2** die mense wat saam met Serubba'bel,^e Je'sua,^f Nehemi'a, Sera'ja, Reëla'ja, Mor'degai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Rehum en Baäna gekom het.

Die getal Israelitiese manne het die volgende ingesluit:^g **3** die kinders van Paros: 2172. **4** Die kinders van Sefat'ja: 372. **5** Die kinders van Arag:^h 775. **6** Die kinders van Pahat-Moab,ⁱ van die kinders van Je'sua en Joab: 2812. **7** Die kinders van Elam:^j 1254. **8** Die kinders van Sattu:^k 945. **9** Die kinders van Sakkai: 760. **10** Die kinders van Bani: 642. **11** Die kinders van Bessai: 623. **12** Die kinders van Asgad: 1222. **13** Die kinders van Adoni'kam: 666. **14** Die kinders van Bigwai: 2056. **15** Die kinders van Adin: 454. **16** Die kinders van Ater, van Hiski'a: 98. **17** Die kinders van Besai: 323. **18** Die kinders van Jora: 112. **19** Die kinders van Hasum:^l 223. **20** Die kinders van Gibbar: 95. **21** Die kinders van Betlehem: 123. **22** Die manne van Neto'fa: 56. **23** Die manne van A'natot:^m 128. **24** Die kinders van Asma'wet: 42. **25** Die kinders van Kir'jat-Jea'rim, Kefi'ra

1:11 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. 2:1 *Of “regsgebied”.

en Be'erot: 743. **26** Die kinders van Rama^a en Geba:^b 621. **27** Die manne van Migmas: 122. **28** Die manne van Bet-El en Ai:^c 223. **29** Die kinders van Nebo:^d 52. **30** Die kinders van Magbis: 156. **31** Die kinders van die ander Elam: 1254. **32** Die kinders van Harim: 320. **33** Die kinders van Lod, Hadid en Ono: 725. **34** Die kinders van Je'rigo: 345. **35** Die kinders van Se'naä: 3630.

36 Die priesters:^e die kinders van Jeda'ja^f van die huis van Je'sua:^g 973. **37** Die kinders van Immer:^h 1052. **38** Die kinders van Pasgur:ⁱ 1247. **39** Die kinders van Harim:^j 1017.

40 Die Leviete:^k die kinders van Je'sua en Kad'miël,^l van die kinders van Hodaw'ja: 74. **41** Die sangers:^m die kinders van Asaf:ⁿ 128. **42** Die kinders van die poortwagters:^o die kinders van Sallum, die kinders van Ater, die kinders van Talmon,^p die kinders van Akkub,^q die kinders van Hati'ta, die kinders van Sobai: altesaam 139.

43 Die tempelknegte:^r die kinders van Siha, die kinders van Hasu'fa, die kinders van Tab'baot, **44** die kinders van Keros, die kinders van Si'aha, die kinders van Padon, **45** die kinders van Leba'na, die kinders van Haga'ba, die kinders van Akkub, **46** die kinders van Hagab, die kinders van Salmal, die kinders van Hanan, **47** die kinders van Giddel, die kinders van Gahar, die kinders van Re'a'ja, **48** die kinders van Resin, die kinders van Neko'da, die kinders van Gassam, **49** die kinders van Ussa, die kinders van Pase'ag, die kinders van Besai, **50** die kinders van Asna, die kinders van Meünim, die kin-

2:43 *Of "Die Netinim". Lett. "Die gegewenes".

HFST. 2

a Jos 18:21, 25

b Jos 18:21, 24

c Jos 7:2

d Esr 10:43, 44

e Ne 7:39-42

f 1Kr 9:2, 10
Ne 11:3, 10

g 1Kr 24:3, 11

h 1Kr 24:3, 14
Esr 10:20, 44

i Esr 10:22, 44

j 1Kr 24:3, 8
Esr 10:21, 44

k Ne 7:43

l Esr 3:9
Ne 12:8, 24

m Ne 7:44

n 1Kr 15:16, 17
Ne 11:3, 17

o Ne 7:45

p 1Kr 9:2, 17
Ne 11:3, 19

q Ne 12:25, 26

r Jos 9:3, 27
1Kr 9:2
Ne 3:26
Ne 7:46-56

Tweede kol.

a Ne 7:57-60

b Ne 7:61-65

c 1Kr 24:3, 10
Ne 3:21d 2Sa 17:27-29
1Kn 2:7

e Nu 3:10

ders van Ne'fusim, **51** die kinders van Bakbuk, die kinders van Haku'fa, die kinders van Harhur, **52** die kinders van Baslut, die kinders van Mehi'da, die kinders van Harsa, **53** die kinders van Barkos, die kinders van Si'sera, die kinders van Tesimag, **54** die kinders van Nesi'ag, die kinders van Hati'fa.

55 Die kinders van die knegte van Salomo: die kinders van Sotai, die kinders van Sofe'ret, die kinders van Peru'da,^a **56** die kinders van Ja'äla, die kinders van Darkon, die kinders van Giddel, **57** die kinders van Sefat'ja, die kinders van Hattil, die kinders van Poge'ret-Hasseba'im, die kinders van Ami.

58 Al die tempelknegte* en die kinders van die knegte van Salomo was 392.

59 En hier volg 'n lys van die mense wat opgetrek het uit Tel-Melag, Tel-Harsa, Kerub, Addon en Immer, maar omdat hulle nie hulle vaderhuis en oorsprong kon bevestig nie, kon hulle nie bewys dat hulle Israëliete is nie:^b **60** die kinders van Dela'ja, die kinders van Tob'i'a, die kinders van Neko'da: 652.

61 En van die kinders van die priesters: die kinders van Haba'ja, die kinders van Hakkos,^c die kinders van Barsil'lai, wat 'n vrou uit die dogters van Barsil'lai,^d die Gileadiet, geneem het en na hom vernoem is. **62** Hulle het na hulle name in die registers gesoek om te bevestig van wie hulle afstam, maar hulle kon dit nie vind nie, en daarom is hulle nie toegelaat om as priesters te dien nie.*^e **63** Die goewerneur* het vir hulle ge-

2:58 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". 2:62 *Of "is hulle as onrein uit die priesterskap uitgesluit". 2:63 *Of "Die Tirsata", 'n Persiese titel vir 'n goewerneur van 'n provinsie.

sê dat hulle nie van die besonder heilige dinge mag eet^a voordat 'n priester die saak met die Urim en Tummim^b kon bevestig nie.

64 Daar was altesaam 42 360 in die gemeente,^c **65** maar dit het nie hulle 7 337 slawe en slavinne ingesluit nie. Daar was ook 200 sangers en sangeresse. **66** Hulle het 736 perde gehad, asook 245 muile, **67** 435 kamele en 6 720 donkies.

68 Toe hulle by die huis van Jehovah in Jerusalem aankom, het party van die hoofde van die vaderhuise vrywillige bydraes^d vir die huis van die ware God gegee om dit op sy plek te herbou.^{*e} **69** Elkeen het gegee wat hy kon, en hulle het altesaam 61 000 goue dragmas,^{*} 5 000 silwerminas^{#f} en 100 stelle priesterlike klere tot die fonds^Δ vir die projek bygedra. **70** Die priesters, die Leviëte, party van die volk, die sangers, die poortwagters en die tempelknegte^{*} het in hulle stede gaan woon, en die res van Israel[#] het in hulle stede gaan woon.^g

3 Toe die sewende maand^h aanbreek en die Israeliete in hulle stede was, het hulle soos een man in Jerusalem byme-kaargekom. **2** Je'sua,ⁱ die seun van Jo'sadak, en sy mede-priesters en Serubba'bel,^j die seun van Seal'tiël,^k en sy broers het opgestaan en die altaar van die God van Israel gebou, sodat hulle brandoffers daarop kon

2:68 *Of "te laat staan". **2:69** *Oor die algemeen gelykgestel aan die Persiese goue dariek met 'n gewig van 8,4 g. Nie die drama wat in die Griekse Geskrifte genoem word nie. Sien Aanh. B14. [#]n Mina in die Hebreeuse Geskrifte was gelyk aan 570 g. Sien Aanh. B14. ^ΔOf "skat". **2:70** *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". [#]Lett. "die hele Israel".

HFST. 2

a Le 2:3
Le 6:26
Nu 18:11

b Eks 28:30
Nu 27:21
1Sa 28:6

c Ne 7:66-69
Jes 10:21
Jer 23:3

d Eks 35:5
1Kr 29:5
Ne 7:70-72

e 2Kr 3:1

f Esr 8:25

g Ne 7:73

HFST. 3

h 1Kn 8:2

i Hag 1:1

j Esr 1:7, 8
Lu 3:23, 27

k 1Kr 3:17
Mt 1:12

Tweede kol.

a Eks 20:24
Eks 40:29

b Esr 4:4

c Nu 28:3, 4

d Eks 23:16
Le 23:34

e Eks 29:38
Nu 29:12, 13

f Eks 29:39, 42

g Nu 10:10
Ps 81:3

h De 16:16

i De 12:5, 6

j Nu 29:1

k 1Kn 5:17

l Esr 5:8

m Jos 19:46, 48
1Kr 22:3, 4
2Kr 2:10, 16

n Esr 1:2, 3
Esr 6:3, 4

o Ne 7:6, 7

bring, volgens wat geskryf is in die Wet van Moses,^a die man van die ware God.

3 Hulle het die altaar op sy vorige plek opgestel, al was hulle bang vir die volke van die omliggende lande,^b en hulle het brandoffers aan Jehovah daarop begin offer, die brandoffers van die oggend en van die aand.^c **4** Toe het hulle die Huttefees^{*} gehou volgens wat geskryf is,^d en dag ná dag het hulle die spesifieke aantal brandoffers geoffer wat vir elke dag vereis is.^e **5** Daarna het hulle die gereelde brandoffer geoffer,^f asook dié vir die nuwemane^g en dié vir die geheiligde feestye^h van Jehovah en ook die offerandes van elkeen wat uit vrye wil 'n gawe aan Jehovah geoffer het.ⁱ **6** Van die eerste dag van die sewende maand^j af het hulle brandoffers aan Jehovah begin bring, al was die fondament van Jehovah se tempel nog nie gelê nie.

7 Hulle het geld aan die klipkappers^k en aan die ambagsmanne^l gegee, en hulle het kos en drank en olie aan die Sidoniërs en die Tiriërs gegee omdat hulle stampe van sederhout uit die Li'banon-berge na die hawe by Joppe^m gebring het. Dit was goedgekeur deur koning Kores van Persië.ⁿ

8 In die tweede maand van die tweede jaar, nadat hulle by die huis van die ware God in Jerusalem gekom het, het Serubba'bel, die seun van Seal'tiël, Je'sua, die seun van Jo'sadak, en die res van hulle broers, die priesters en die Leviëte, sowel as almal wat uit die gevangenskap na Jerusalem gekom het,^o met die werk begin. Hulle het die Leviëte wat 20 jaar en ouer

3:4 *Of "Fees van Tydelike Skuilings".

was, aangestel om oor die werk aan die huis van Jehovah toesig te hou. **9** En Je'sua, sy seuns en sy broers, en Kad'miël en sy seuns, die seuns van Juda, asook die seuns van He'nadad,^a hulle seuns en hulle broers, die Leviete, het bymekaargekom om toesig te hou oor dié wat die werk in die huis van die ware God gedoen het.

10 Toe die bouers die fondament van die tempel van Jehovah gelê het,^b het die priesters in hulle priesterlike klere met die trompette,^c en die Leviete, die seuns van Asaf, met die simbale opgestaan om Jehovah te loof soos koning Dawid van Israel voorgeskryf het.^d **11** En hulle het beurte gemaak om te sing^e en het Jehovah met die volgende woorde begin loof en dank: "Hy is goed, en sy lojale liefde vir Israel duur vir ewig."^f Toe het die hele volk Jehovah geloof met 'n groot gejuig omdat die fondament van die huis van Jehovah gelê is. **12** Baie van die priesters, die Leviete en die hoofde van die vaderhuise – die ou manne wat die vorige huis gesien het^g – het met 'n harde stem gehuil toe hulle sien hoe die fondament van hierdie huis gelê word, terwyl baie ander vreugdevol en hard uitgeroep het.^h **13** Die volk kon nie die geluid van die vreugdevolle uitroep onderskei van die geluid van die gehuil van die volk nie, want die volk het so hard uitgeroep dat die geluid van ver af gehoor kon word.

4 Toe die vyande van Juda en Benjaminⁱ hoor dat die ballinge* wat teruggekeer het,^j 'n tempel vir Jehovah, die God van Israel, bou, **2** het hulle on-

4:1 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

HFST. 3

a Ne 3:18

b Sag 4:9

c Nu 10:8

d 1Kr 6:31, 32
1Kr 23:5
1Kr 25:1e Eks 15:21
Ne 12:24f 1Kr 16:34
2Kr 7:3g 1Kn 6:22
Hag 2:3h Ps 126:1, 6
Jes 35:10
Sag 4:9

HFST. 4

i Esr 4:6-8
Ne 4:7, 8

j Esr 2:1, 64

Tweede kol.

a 2Kn 17:33, 34

b 2Kn 19:36, 37

c 2Kn 17:24

d Ne 2:19, 20
Joh 4:9, 22e 2Kr 36:23
Esr 1:1-3
Esr 6:3, 4

f Ne 6:9

g Ne 6:10-12

h Esr 4:24
Esr 5:5
Esr 6:1

i 2Kn 18:26

middelik na Serubba'bel en die hoofde van die vaderhuise toe gegaan en vir hulle gesê: "Laat ons saam met julle bou, want ons aanbid* julle God,^a net soos julle. Ons bring offerandes aan hom al sedert die dae van koning Esar-Haddon^b van Assirië, wat ons hierheen gebring het."^c

3 Maar Serubba'bel en Je'sua en die res van die hoofde van die vaderhuise van Israel het vir hulle gesê: "Julle het nie die reg om 'n huis vir ons God saam met ons te bou nie.^d Ons sal dit alleen bou vir Jehovah, die God van Israel, net soos koning Kores van Persië ons beveel het."^e

4 Toe het die volk van die land voortdurend die volk van Juda ontmoedig* sodat hulle met die bouwerk sou ophou.^f **5** Hulle het raadgewers teen hulle gehuur om hulle planne te laat misluk,^g al die dae van koning Kores van Persië tot die regering van koning Darius^h van Persië. **6** Aan die begin van die regering van Ahas'veros het hulle 'n brief geskryf waarin hulle die inwoners van Juda en Jerusalem beskuldig het. **7** En in die tyd van koning Artasas'ta van Persië het Bislam, Mit'redat, Ta'beël en die res van sy bondgenote 'n brief aan koning Artasas'ta geskryf. Hulle het die brief in Arameesⁱ vertaal en dit met Aramese letters geskryf.*

8 * Rehum, die hoofregeringsampテナאר, en Simsai, die skrywer, het 'n brief teen Jerusalem aan koning Artasas'ta geskryf. Dit het gesê: **9** (Dit was van Rehum, die hoofregerings-

4:2 *Lett. "soek". 4:4 *Lett. "die hande van die volk van Juda verswak". 4:7 *Of moontlik "Dit is in Aramees geskryf en toe vertaal". 4:8 *Esr 4:8 tot 6:18 is oorspronklik in Aramees geskryf.

amptenaar, en Simsai, die skrywer, en die res van hulle bondgenote, die regters en die ondergoewerneys, die sekretarisse, die volk van Ereg,^a die Babiloniërs, die inwoners van Susa,^b dit wil sê die Elamiete,^c **10** en die res van die nasies wat deur die groot en vername Asenap'par in ballingskap wegeneem is en wat hy in die stede van Samari'a^d laat woon het en die ander mense van die gebied anderkant die Rivier,* en **11** hier volg 'n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het.)

"Aan koning Artasas'ta, van u knegte, die manne van die gebied anderkant die Rivier: **12** Laat dit aan die koning bekend wees dat die Jode wat van u af na ons toe gekom het, in Jerusalem aangekom het. Hulle is besig om die opstandige en slegte stad te herbou,^e en hulle voltooi die mure en maak die fundamente reg. **13** Laat dit nou aan die koning bekend wees dat hulle geen belasting, skatting*^f of tolgeld sal betaal as hierdie stad herbou word en die mure voltooi word nie, en dit sal 'n verlies wees vir die skatkamers van die konings. **14** Ons ontvang ons salaris van die paleis,* en dit is nie vir ons gepas om te sien dat die koning skadeloos is, en daarom het ons hierdie brief gestuur om dit aan die koning bekend te maak, **15** sodat die boek met die geskiedkundige verslae van u voorouers ondersoek kan word.^g U sal in die boek sien dat hierdie stad opstandig is en dat hulle 'n bedreiging inhou vir konings en provinsies.* Daar was nog al-

4:10 *Of "die ander mense van die Trans-Eufraat". **4:13, 20** *Sien Woordelys. **4:14** *Lett. "eet die sout van die paleis". **4:15** *Of "regsgebiede".

HFST. 4

a Ge 10:9, 10

b Ne 1:1

Est 1:2

Da 8:2

c Ge 10:22

Jes 11:11

Jer 49:35, 36

d 2Kn 17:24

e Ne 1:3

f 2Kn 23:35

Ne 5:4

g Est 2:23

Est 6:1

Tweede kol.

a Jer 52:3

b De 11:24

c 2Kn 18:1, 7

2Kn 24:20

Esr 4:15

d Esr 4:13

tyd persone in hierdie stad wat ander aangespoor het om in opstand te kom, en dit is waarom hierdie stad vernietig is.^a **16** Ons maak aan die koning bekend dat, as hierdie stad herbou word en die mure voltooi word, u geen beheer* oor die gebied anderkant die Rivier^b sal hê nie."

17 Die koning het die volgende boodskap gestuur aan Rehum, die hoofregeringsamptenaar, en Simsai, die skrywer, en die res van hulle bondgenote wat in Samari'a gewoon het en die ander mense van die gebied anderkant die Rivier:

"Groete! **18** Die amptelike dokument wat julle aan ons gestuur het, is duidelik aan my voorgelees.* **19** Op my bevel is daar ondersoek ingestel, en daar is gevind dat hierdie stad van vroeë tye af teen konings in opstand gekom het en dat die mense daar gerebelleer het en opstandig was.^c **20** Jerusalem het magtige konings gehad wat oor die hele gebied anderkant die Rivier regeer het, en belasting, skatting* en tolgeld is aan hulle betaal. **21** Reik nou 'n bevel uit dat hierdie manne moet ophou werk, sodat die stad nie herbou mag word totdat ek die bevel gee nie. **22** Sorg dat julle dadelik aandag gee aan hierdie saak, sodat die koning nie verder benadeel word nie."^d

23 En nadat die afskrif van die amptelike dokument van koning Artasas'ta aan Rehum en Simsai, die skrywer, en hulle bondgenote voorgelees is, het hulle vinnig na Jerusalem gegaan na die Jode toe en hulle met geweld gedwing om op te

4:16 *Lett. "deel". **4:18** *Of moontlik "is vertaal en gelees".

hou werk. **24** Toe het die werk aan die huis van God, wat in Jerusalem was, opgehou, en dit het stilgestaan tot die tweede regeringsjaar van koning Darius van Persië.^a

5 Toe het die profete Haggai^b en Sagari'a,^c die kleinseun van Iddo,^d vir die Jode wat in Juda en in Jerusalem was, geprofeteer in die naam van die God van Israel wat oor hulle was. **2** Serubba'bel,^e die seun van Seal'tiël, asook Je'sua,^f die seun van Jo'sadak, het toe die huis van God,^g wat in Jerusalem was, begin herbou. En die profete van God was met hulle en het hulle ondersteun.^h **3** Tat'tenai, die goewerneur van die gebied anderkant die Rivier,^{*} en Se'tar-Bo'senai en die ander amptenare het in daardie tyd na hulle toe gekom en hulle gevra: "Wie het julle beveel om hierdie huis te bou en om hierdie bouwerk te voltooi?"[#] **4** Toe het hulle vir hulle gevra: "Wat is die name van die manne wat aan hierdie gebou werk?" **5** Maar God het gewaak oor^{*} die ouermanne van die Jode,ⁱ en hulle het hulle nie gekeer totdat die berig na Darius gestuur kon word en 'n amptelike dokument hieroor teruggestuur kon word nie.

6 Hier is 'n afskrif van die brief wat Tat'tenai, die goewerneur van die gebied anderkant die Rivier, en Se'tar-Bo'senai en die ander amptenare, die ondergoewerneys van die gebied anderkant die Rivier, aan koning Darius gestuur het. **7** Hulle het die berig aan hom gestuur, en hulle het die volgende geskryf:

5:3 *Of "die goewerneur van die Trans-Eufrat". #Of "en hierdie balke in te sit". 5:5 *Lett. "die oog van hulle God was op".

HFST. 4

a Esr 5:5
Esr 6:1
Hag 1:14, 15

HFST. 5

b Hag 1:1

c Sag 1:1

d Ne 12:1, 4

e Mt 1:12

f Sag 6:11

g Esr 3:2, 8

h Esr 6:14
Hag 2:4, 21
Sag 4:7i Esr 7:6, 28
Esr 8:22

Tweede kol.

a Esr 5:3, 4

b 1Kn 7:51

c De 31:17
2Kr 34:24, 25d 2Kn 24:1
2Kn 25:1

e 2Kn 25:8, 9

f 2Kn 25:11

g Esr 1:1-3

h 2Kn 25:14, 15
2Kr 36:7, 18

i Esr 1:8, 11

j Hag 1:1, 14

"Aan koning Darius:

"Alle vrede! **8** Laat dit aan die koning bekend wees dat ons na die provinsie* van Juda gegaan het, na die huis van die groot God, en dit word gebou met groot klippe wat op hulle plek gerol word, en balke word in die mure gelê. Die werk word gretig deur die mense gedoen en dit vorder goed. **9** Toe het ons hulle ouermanne gevra: 'Wie het julle beveel om hierdie huis te bou en om hierdie bouwerk te voltooi?'^{**a} **10** Ons het ook hulle name gevra sodat ons die name kon neerskryf en u kon laat weet wie die manne is wat die leiding neem.

11 "Hulle het ons die volgende antwoord gegee: 'Ons is die knegte van die God van die hemel en die aarde, en ons herbou die huis wat baie jare gelede gebou is, wat 'n groot koning van Israel gebou en voltooi het.'^b

12 Maar omdat ons vaders die God van die hemel kwaad gemaak het,^c het hy hulle gegee in die hand van koning Nebukadne'sar^d van Babilon, die Galdeër, wat hierdie huis vernietig het^e en die volk in ballingskap na Babilon weggeneem het.^f

13 Koning Kores van Babilon het egter in sy eerste regeringsjaar beveel dat hierdie huis van God herbou moet word.^g

14 Nebukadne'sar het goue en silwerhouers uit die tempel van God in Jerusalem geneem en dit na die tempel van Babilon gebring.^h Maar koning Kores het hierdie houers uit die tempel van Babilon gaan haal en dit gegee aan 'n man met die naam Ses'bassar,^{*i} wat deur Kores as goewerneur^j aangestel is. **15** Kores het vir hom gesê:

5:8 *Of "regsgebied". 5:9 *Of "om hierdie balke in te sit". 5:14 *Moontlik Serubbabel in Esr 2:2; 3:8.

“Neem hierdie houers. Gaan sit dit in die tempel wat in Jerusalem is, en laat die huis van God op sy vorige plek herbou word.”^a

16 Toe het hierdie Ses'bassar gekom, en hy het die fundamente gelê van die huis van God,^b wat in Jerusalem is, en dit word van toe af tot nou toe herbou, maar dit is nog nie voltooi nie.^c

17 “As die koning dit dan goedvind, laat daar ondersoek ingestel word in die koninklike skathuis wat daar in Babilon is om vas te stel of koning Kores beveel het dat die huis van God in Jerusalem herbou moet word,^d en laat die koning se besluit hieroor aan ons gestuur word.”

6 Toe het koning Darius 'n bevel uitgevaardig, en hulle het ondersoek ingestel in die argiefgebou* waar die skatte in Babilon gebêre is. **2** En 'n boekrol is gevind in die paleis Ekbatana, in die provinsie* van Medië, en die volgende boodskap was daarop geskryf:

3 “In die eerste jaar van koning Kores het hy 'n bevel uitgevaardig aangaande die huis van God in Jerusalem:^e ‘Laat die huis herbou word as die plek waar hulle offerandes moet bring, en die fundamente moet gelê word, en die huis moet 60 el* hoog wees en 60 el breed,^f **4** met drie lae groot klippe wat op hulle plek gerol word en een laag balke,^g en laat die koning se huis die koste betaal.^h **5** Nebukadnê'sar het die goue en silwerhouers uit die tempel in Jerusalem geneem en dit toe na Babilon gebring.ⁱ Laat die houers teruggegee word, sodat dit op hulle plek in die tempel in

6:1 *Lett. “die huis van die verslae”. 6:2 *Of “regsgebied”. 6:3 *Omtrent 26,7 m. Sien Aanh. B14.

HFST. 5

a Esr 1:2, 7

b Esr 3:10
Hag 2:18
Sag 4:9

c Esr 4:23, 24

d 2Kr 36:22, 23
Esr 6:3, 4

HFST. 6

e 2Kr 36:22, 23
Esr 1:1-3

f 1Kn 6:2

g Esr 3:7
Esr 5:8h Esr 7:20
Jes 49:23i 2Kn 25:13-15
2Kr 36:7, 18
Da 1:1, 2
Da 5:2

Tweede kol.

a Esr 1:8, 11

b Esr 5:3, 6

c Esr 7:20
Hag 2:7, 8

d Esr 5:5

e Le 1:3, 5

f Le 1:10

g Nu 28:3

h Le 2:1

i Le 2:13

j Nu 15:5

k Eks 27:20
Le 2:4

l Esr 7:23

Jerusalem, in die huis van God, gesit kan word.’^a

6 “En julle – Tat'tenai, die goewerneur van die gebied anderkant die Rivier,* Se'tar-Bo'senai en die ander amptenare, die ondergoewerneys van die gebied anderkant die Rivier^b – julle moet daarvandaan wegbly.

7 Moenie met die werk aan die huis van God inmeng nie. Die goewerneur van die Jode en die ouermanne van die Jode sal die huis van God op sy vorige plek herbou. **8** En ek vaardig 'n bevel uit wat sê wat julle vir hierdie ouermanne van die Jode moet doen om die huis van God te herbou: Neem geld uit die koninklike skatkis,^c uit die belastinggeld wat in die gebied anderkant die Rivier ingesamel is. Gee dit onmiddellik aan hierdie manne sodat hulle sonder onderbreking kan voortgaan.^d **9** En wat ook al nodig is – jong bulle^e sowel as skaapramme^f en lammers^g vir die brandoffers aan die God van die hemel, koring,^h sout,ⁱ wyn/ en olie,^k net soos die priesters sê wat in Jerusalem is – moet elke dag aan hulle gegee word, **10** sodat hulle voortdurend offerandes kan aanbied waarmee die God van die hemel tevrede is en sodat hulle vir die lewe van die koning en sy seuns kan bid.^l **11** Ek het ook 'n bevel uitgevaardig dat daar 'n balk uit die huis geruk sal word van enigiemand wat ongehoorsaam is aan hierdie bevel en dat hy daaraan opgehang sal word,* en sy huis sal 'n openbare toilet^m gemaak word as gevolg van hierdie oortreding. **12** En mag die God wat sy naam daar

6:6 *Of “die goewerneur van die Trans-Eufraat”. 6:11 *Of “en dat hy daaraan vasgespyker sal word”. ^mOf moontlik “'n vullishoop; 'n mishoop”.

laat woon het,^a enige koning en volk tot 'n val bring wat ongehoorsaam is aan hierdie opdrag en die huis van God, wat in Jerusalem is, probeer vernietig. Ek, Darius, vaardig hierdie bevel uit. Laat dit onmiddellik gedoen word.”

13 Toe het Tat'tenai, die goewerneur van die gebied anderkant die Rivier, Se'tar-Bo'senai^b en die ander amptenare onmiddellik alles gedoen wat koning Darius beveel het. **14** En die ouermanne van die Jode het aangehou bou en het vordering gemaak^c omdat hulle aangespoor is deur die profesieë van die profeet Haggai^d en Sagarai,^e die kleinseun van Iddo. Hulle het die gebou voltooi op bevel van die God van Israel^f en op bevel van Kores^g en Darius^h en koning Artasas'taⁱ van Persië. **15** Hulle het die tempel voltooi teen die derde dag van die maand Adar,* in die sesde regeringsjaar van koning Darius.

16 Toe het die Israeliete, die priesters, die Leviete^j en die res van die vorige ballinge* die toewyding^k van hierdie huis van God vreugdevol gevier. **17** En hulle het vir die toewyding van hierdie huis van God 100 bulle, 200 skaapramme en 400 lamers aangebied, sowel as 12 bokramme as 'n sonde-offer vir die hele Israel, volgens die getal van die stamme van Israel.^k **18** Hulle het die priesters in hulle groepe en die Leviete in hulle afdelings aangestel vir die diens van God in Jerusalem,^l volgens wat in die boek van Moses geskryf is.^m

19 En die persone wat voorheen ballinge was, het die Pasga

HFST. 6

a De 12:5, 6

2Kr 7:16

b Esr 5:6

c Esr 3:8

Esr 4:3

d Hag 1:12

e Esr 5:1, 2

Sag 1:1, 7

Sag 6:15

f Hag 1:8

g 2Kr 36:23

Esr 1:2, 3

Jes 44:28

h Esr 6:12

i Esr 7:12, 13

j 1Kr 9:2

Ne 7:73

k 2Kr 7:5

l 1Kr 23:6

m Nu 3:6

Tweede kol.

a Eks 12:2, 14

Le 23:5

De 16:1

Est 3:7

b Eks 30:19, 20

Le 21:8

Le 22:2, 3

c Eks 12:48

Nu 9:14

d Eks 12:17

Le 23:6

e Esr 7:27

Spr 21:1

HFST. 7

f Ne 2:1

g Ne 8:2

Ne 12:26

h 1Kr 6:14

i 2Kn 22:8

j 2Kr 31:10

k Nu 25:11

Rig 20:28

l Eks 6:23, 25

Nu 3:32

De 10:6

m Eks 7:1

Eks 28:1

n Ne 8:1, 4

op die 14de dag van die eerste maand^a gehou. **20** Die priesters en die Leviete het hulleself sonder uitsondering gereinig,^b en hulle almal was rein. Hulle het die Pasga-offer geslag vir almal wat voorheen ballinge was, vir hulle mede-priesters en vir hulleself. **21** Toe het die Israeliete wat uit ballingskap teruggekeer het, daarvan geëet, asook elkeen wat by hulle aangesluit het en wat hom van die onreinheid van die nasies van die land afgeskei het om Jehovah, die God van Israel, te aanbid.*^c **22** Hulle het ook die Fees van die Ongesuurde Brode^d sewe dae lank met blydschap gehou, want Jehovah het hulle vreugdevol gemaak, en hy het die koning van Assi'rië se gesindheid teenoor hulle laat verander,^e en die koning het hulle toe ondersteun* in die werk aan die huis van die ware God, die God van Israel.

7 Ná hierdie dinge, gedurende die regering van koning Artasas'ta^f van Persië, het Esra*^g teruggekeer. Hy was die seun van Sera'ja,^h die seun van Asar'ja, die seun van Hilki'a,ⁱ die seun van Sallum, die seun van Sadok, die seun van Ahitub, die seun van Amar'ja, die seun van Me'rajot, die seun van Serag'ja, die seun van Ussi, die seun van Bukki, die seun van Abisu'a, die seun van Pi'nehas,^k die seun van Elea'sar,^l die seun van die hoofpriester Aäron.^m **6** Hierdie Esra het van Babilon af gekom. Hy was 'n kopiis* wat baie kennis gehad het vanⁿ die Wet van Moses,ⁿ wat Jehovah, die God van

6:21 *Lett. "soek". **6:22** *Lett. "hulle hande versterk". **7:1** *Betekent "hulp". **7:6** *Of "oorskrywer". *Of "Hy was 'n vaardige kopiis van".

6:15 *Sien Aanh. B15. **6:16** *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. *Of "inwyding".

Israel, gegee het. Die koning het vir hom alles gegee wat hy gevra het, want die hand van Jehovah sy God was met hom.

7 Party van die Israëliete, die priesters, die Leviëte,^a die sangers,^b die poortwagters^c en die tempelknegte^{*d} het in die sewende jaar van koning Artasas'ta na Jerusalem gegaan. **8** En Esra het in die vyfde maand, in die sewende jaar van die koning, na Jerusalem toe gekom. **9** Op die eerste dag van die eerste maand het hy die reis uit Babilon aangepak, en hy het op die eerste dag van die vyfde maand in Jerusalem aangekom, want die goeie hand van sy God was met hom.^e **10** Esra het sy hart voorberei* om die Wet van Jehovah te raadpleeg en om te doen wat dit sê^f en om die wetsvoorskrifte en die oordele daarin in Israel te leer.^g

11 Hier volg 'n afskrif van die brief wat koning Artasas'ta aan die priester Esra die kopiis* gegee het, wat baie goed bekend was met^h die gebooië van Jehovah en sy wetsvoorskrifte aan Israel:

12 ^h "Artasas'ta, die koning van die konings, aan die priester Esra, die kopiis* van die Wet van die God van die hemel: Mag jy vrede hê. **13** Ek het 'n bevel uitgevaardig dat elkeen in my koninkryk wat van die volk Israel is en hulle priesters en Leviëte wat bereid is om saam met jou na Jerusalem te gaan, moet gaan.ⁱ **14** Want jy word deur die koning en sy sewe raadgewers gestuur om ondersoek in te stel of die Wet van jou God,

7:7 *Of "die Netinim". Lett. "die geewenes". 7:10 *Of "in sy hart besluit". 7:11, 12, 21 *Of "oorskrywer". 7:11 "Of 'n kopiis (deskundige) was van die woorde van". 7:12 #Esr 7:12 tot 7:26 is oorspronklik in Aramees geskryf.

HFST. 7

a Esr 8:18, 19

b 1Kr 6:31, 32

c 1Kr 9:22-27

d 1Kr 9:2
Esr 8:20

e Esr 8:22

f De 5:1
De 17:10g De 33:8, 10
Mal 2:7h Esr 6:14
Ne 2:1

i Esr 1:2, 3

Tweede kol.

a Esr 1:5, 6
Esr 8:25

b Le 1:3

c Le 1:10

d Nu 28:3

e Nu 15:4

f Nu 15:5

g Esr 8:30

h Esr 6:3, 4
Esr 6:8i Esr 7:6
Ne 8:2

j Nu 15:5

k Eks 27:20
Le 2:1

l Le 2:13

wat jy by jou het,* in Juda en Jerusalem toegepas word, **15** en om die silwer en die goud te neem wat die koning en sy raadgewers vrywillig gegee het aan die God van Israel, wie se woonplek in Jerusalem is. **16** Neem ook al die silwer en die goud wat jy in die hele provinsie* van Babilon ontvang,[#] saam met die gawe wat die volk en die priesters vrywillig gee vir die huis van hulle God, wat in Jerusalem is.^a **17** En met hierdie geld moet jy so gou moontlik bulle,^b skaapramme^c en lamers^d koop, sowel as wat nodig is vir die graanoffers^e en drankoffers,^f en jy moet dit aanbied op die altaar van die huis van julle God in Jerusalem.

18 "En jy en jou broers mag met die res van die silwer en die goud doen wat julle ook al dink goed is, volgens die wil van julle God. **19** Al die houers wat vir die diens van die huis van jou God aan jou gegee word, moet jy voor God in Jerusalem^g aflewer. **20** En die res van die dinge wat nodig is vir die huis van jou God en wat jy moet gee, moet jy uit die koninklike skat-huis gee.^h

21 "Ek, koning Artasas'ta, het 'n bevel uitgevaardig aan al die skatmeesters in die gebied anderkant die Rivier:[#] Julle moet onmiddellik alles gee wat die priester Esra,ⁱ die kopiis* van die Wet van die God van die hemel, van julle vra, **22** tot 100 talente* silwer, 100 kor[#] koring, 100 bat^Δ wyn,^j 100 bat olie^k en sout^l sonder beperking.

7:14 *Lett. "wat in jou hand is". 7:16 *Of "regsgebied". #Lett. "vind". 7:21 *Of "die skatmeesters in die Trans-Eufraat". 7:22 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. #'n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanh. B14. Δ'n Bat was gelyk aan 22 l. Sien Aanh. B14.

23 Laat alles wat deur die God van die hemel beveel word, ywerig gedoen word vir die huis van die God van die hemel,^a sodat God nie kwaad word vir die koning se seuns en die mense in sy koninkryk nie.^b **24** En ek sê verder dat julle nie belasting, skatting^{*c} of tolgeld van enige van die priesters en die Leviete, die musikante,^d die deurwagters, die tempelknegte^{#e} en die werkers van hierdie huis van God mag vra nie.

25 "En jy, Esra, moet volgens die wysheid wat jy van jou God gekry het,^{*} magistrate en regters aanstel om die hele volk in die gebied anderkant die Rivier, almal wat die wette van jou God ken, te oordeel, en julle moet almal wat die wette nie ken nie, onderrig.^f **26** Enigiemand wat nie die Wet van jou God en die wet van die koning gehoorsaam nie, moet onmiddellik gestraf word, of dit nou met die dood, verbanning, 'n boete of gevangenisstraf is."

27 Mag Jehovah, die God van ons voorvaders, geloof word, wat dit in die hart van die koning gesit het om die huis van Jehovah in Jerusalem te versier!^g **28** Hy het lojale liefde aan my betoon voor die koning^h en sy raadgewersⁱ en al die magtige leiers van die koning. En daarom was ek vol moed,^{*} want die hand van Jehovah my God was met my, en ek het leiers[#] uit Israel bymekaargemaak om saam met my te gaan.

8 En hier volg 'n lys van die hoofde van hulle vaderhuise en die geslagsregister van die mense wat gedurende die rege-

7:24 *Sien Woordelys. #Of "die Nentinim". Lett. "die gegewenes". 7:25 *Lett. "volgens die wysheid van jou God wat in jou hand is". 7:28 *Of "het ek myself versterk". #Lett. "hoofde".

HFST. 7

a Esr 1:2

b Esr 6:9,10

c Ne 5:4

d 1Kr 15:16

e 1Kr 9:2

f Ne 8:2, 3

g Esr 6:22
Spr 21:1
Jes 60:13h Esr 9:9
Ne 1:11

i Esr 7:14

Tweede kol.

HFST. 8

a Esr 7:7

b 1Kr 6:3, 4

c Eks 6:23

d Esr 2:1, 6

e Esr 2:1, 8
Esr 10:27, 44

f Esr 2:1, 15

g Esr 2:1, 7

h Esr 2:1, 4

i Esr 2:1, 11
Esr 10:28, 44

j Esr 2:1, 12

k Ne 7:6, 18

l Esr 2:1, 14

m Esr 8:31

ring van koning Artasas'ta saam met my uit Babilon gekom het:^a **2** van die kinders van Pi'nehas:^b Gersom. Van die kinders van I'tamar:^c Daniël. Van die kinders van Dawid: Hattus. **3** Van die kinders van Segan'ja, van die kinders van Paros: Sagari'a, en saam met hom was 150 manne ingeskryf. **4** Van die kinders van Pahat-Moab:^d Eljeho'-Enai, die seun van Serag'ja, en saam met hom 200 manne. **5** Van die kinders van Sattu:^e Segan'ja, die seun van Jaha'siël, en saam met hom 300 manne. **6** Van die kinders van Adin:^f Ebed, die seun van Jo'natan, en saam met hom 50 manne. **7** Van die kinders van Elam:^g Jesaja, die seun van Ata'lia, en saam met hom 70 manne. **8** Van die kinders van Sefat'ja:^h Sebad'ja, die seun van Mi'gael, en saam met hom 80 manne. **9** Van die kinders van Joab: Obad'ja, die seun van Jehi'ël, en saam met hom 218 manne. **10** Van die kinders van Bani: Se'lomit, die seun van Josif'ja, en saam met hom 160 manne. **11** Van die kinders van Bebai:ⁱ Sagari'a, die seun van Bebai, en saam met hom 28 manne. **12** Van die kinders van Asgad:^j Joha'nan, die seun van Hakka'tan, en saam met hom 110 manne. **13** Van die kinders van Adoni'kam:^k dié wat die laastes was, en hulle name was Elife'let, Jeïel en Sema'ja, en saam met hulle 60 manne. **14** En van die kinders van Bigwai:^l Utai en Sabbud, en saam met hulle 70 manne.

15 Ek het hulle bymekaargebring by die rivier wat na A'ha-wa^m loop, en ons het drie dae daar gekamp. Maar toe ek die volk en die priesters deursoek het, het ek nie een Leviet daar gevind nie. **16** Toe het ek Eliëser, A'riël, Sema'ja, El'na-

Eliëser, A'riël, Sema'ja, El'natan, Jarib, El'natan, Natan, Sagar'i'a en Mesul'lam, wat leiers was, sowel as Joja'rib en El'natan, wat onderrigters was, laat roep. **17** Toe het ek hulle beveel om na Iddo, die leier in die plek met die naam Kasif'ja, toe te gaan. Ek het vir hulle gesê om vir Iddo en sy broers, wat die tempelknegte* in Kasif'ja was, te sê om vir ons dienaars vir die huis van ons God te bring. **18** Omdat die goeie hand van ons God met ons was, het hulle vir ons 'n verstandige man gebring uit die kinders van Magli,^a die kleinseun van Levi, die seun van Israel, naamlik Sereb'ja,^b en sy seuns en sy broers, 18 manne, **19** en Hasab'ja, en saam met hom Jesaja uit die Merariete,^c sy broers en hulle seuns, 20 manne. **20** En daar was 220 tempelknegte,* wat Dawid en die leiers vir die diens van die Leviete gegee het, en hulle is almal by naam in die register genoem.

21 Toe het ek daar by die rivier A'hawa vir die volk gesê dat ons sal vas om onself voor ons God te verneder, om hom te vra om ons op ons reis te lei en om ons en ons kinders en al ons goed te beskerm. **22** Ek was skaam om die koning te vra om vir ons soldate en perderuiters te gee om ons teen die vyande langs die pad te beskerm, want ons het vir die koning gesê: "Die goeie hand van ons God is oor almal wat hom dien,*^d maar sy krag en sy woede is teen almal wat hom verlaat."^e **23** Daarom het ons gevas en ons God gevra om ons op ons reis te lei, en hy het na ons dringende versoek geluister.^f

8:17 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". 8:20 *Of "Netinim". Lett. "gegewenes". 8:22 *Lett. "soek".

HFST. 8

a Nu 3:20

b Esr 8:24, 25

c 1Kr 6:16

d 2Kr 16:9

Esr 7:6

Esr 7:28

Sag 4:6

e 2Kr 15:2

f 2Kr 7:14

Jer 29:10, 12

Jer 50:4, 5

Tweede kol.

a Esr 8:18, 19

b Esr 7:14-16

Esr 7:19

c Le 21:6-8

Jes 52:11

d Esr 7:19

Esr 8:33

e Est 3:7

f Esr 8:15, 21

g Esr 7:8

24 Toe het ek 12 van die hoofde van die priesters gekies, naamlik Sereb'ja en Hasab'ja,^a sowel as tien van hulle broers. **25** Ek het toe vir hulle die silwer en die goud en die voorwerpe afgeweeë. Dit was die bydrae wat die koning en sy raadgewers en sy hoë amptenare en al die Israëliete wat daar teenwoordig was, vir die huis van ons God gegee het.^b **26** Ek het dus die volgende in hulle hand afgeweeë: 650 talente* silwer, 100 silwervoorwerpe wat 2 talente werd was, 100 talente goud, **27** 20 goue bakkies wat 1000 darieke* werd was en 2 voorwerpe van fyn koper, glansend rooi, so begeerlik soos goud.

28 Toe het ek vir hulle gesê: "Julle is heilig vir Jehovah,^c en die voorwerpe is heilig, en die silwer en die goud is 'n vrywillige offer aan Jehovah, die God van julle voorvaders. **29** Pas dit mooi op totdat julle dit afweëë voor die hoofde van die priesters en die Leviete en die leiers van die vaderhuise van Israel in Jerusalem,^d in die eetkamers van die huis van Jehovah." **30** En die priesters en die Leviete het die silwer en die goud en die voorwerpe geneem wat vir hulle afgeweeë is, sodat hulle dit na Jerusalem, na die huis van ons God, kon bring.

31 Uiteindelik het ons op die 12de dag van die eerste maand^e van die rivier A'hawa^f af weggetrek om na Jerusalem te gaan, en die hand van ons God was oor ons, en hy het ons van die vyand en van rowers op die pad gered. **32** Ons het in Jerusalem aangekom^g en drie dae daar

8:26 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanb. B14. 8:27 *'n Dariek was 'n Persiese goue muntstuk. Sien Aanb. B14.

gebly. **33** Op die vierde dag het ons die silwer en die goud en die voorwerpe in die huis van ons God afgeweg^a en dit vir Me'remot,^b die seun van Uri'a die priester, gegee, en Ele-a'sar, die seun van Pi'nehas, was saam met hom, en die Leviete, Jo'sabad,^c die seun van Je'sua, en Noad'ja, die seun van Bin'nuï,^d was saam met hulle. **34** Alles is getel en geweeg, en die totale gewig is neergeskryf. **35** Dié wat uit die gevangenskap gekom het, die mense wat voorheen ballinge was, het brandoffers vir die God van Israel aangebied: 12 bulle^e vir die hele Israel, 96 skaapramme,^f 77 ramlammers en 12 bokramme^g as 'n sonde-offer. Al hierdie dinge was 'n brandoffer aan Jehovah.^h

36 Toe het ons die bevele van die koningⁱ aan die satrape* van die koning en die goewer-neurs van die gebied anderkant die Rivier^j gegee, en hulle het die volk en die huis van die ware God ondersteun.^k

9 En onmiddellik nadat hierdie dinge gedoen is, het die leiers na my toe gekom en gesê: "Die volk Israel en die priesters en die Leviete het hulle nie van die volke van die lande en van hulle afskuwelike gebruike^l afgesonder nie, dié van die Kanaäniete, die Hetiete, die Perissiete, die Jebusiete, die Ammoniete, die Moabiete, die Egiptenare^m en die Amoriete.ⁿ **2** Hulle het van hulle dogters as vrouens vir hulleself en vir hulle seuns geneem.^o Nou het hulle, die heilige nageslag,^p met die

8:36 *Titel wat "beskermers van die ryk" beteken, hier gebruik vir goewer-neurs van provinsies in die Persiese Ryk. ^oOf "die goewer-neurs van die Trans-Eufraat". **9:2** *Lett. "saad".

HFST. 8

a Esr 7:19

Esr 8:29

b Ne 3:4, 21

c Ne 8:7

d Ne 12:1, 8

e Le 1:3

f Le 1:10

g Le 22:18, 19

h Esr 7:17

i Esr 7:21

j Ge 15:18

k Esr 6:13

HFST. 9

l Le 20:23

De 12:29, 30

m Le 18:3

n Ge 15:16

o Eks 34:15, 16

Esr 10:44

p Eks 19:5, 6

Tweede kol.

a Ne 13:1, 3

b Eks 29:41

c Nu 28:4, 5

d Da 9:7

e Nu 32:14

2Kr 29:6

f 2Kn 10:32

2Kr 36:17

g 2Kn 17:22, 23

2Kn 25:6, 7

h 2Kn 17:20

i Ne 9:32

j Ne 9:31

Ps 138:7

volke van die lande vermeng ge-raak.^a Die leiers en die ampte-nare het die voortou geneem in hierdie ontrouheid."

3 Die oomblik toe ek hier-van hoor, het ek my kleed en my moulose oorkleed geskeur en van die hare van my kop en my baard uitgetrek, en ek het in skok gaan sit. **4** Toe het almal wat diep respek vir die woor-de van die God van Israel gehad het,^a om my bymekaargekom as gevolg van die ontrouheid van die ballinge.^b Ek het in skok gesit totdat dit tyd was vir die graanoffer in die aand.^b

5 En toe dit tyd geword het vir die graanoffer^c in die aand, het ek uit my vernedering opge-staan, met my kleed en my moulose oorkleed geskeur, en ek het op my knieë gegaan en my hande na Jehovah my God uit-gestrek. **6** En ek het gesê: "O my God, ek voel skaam en ver-leë om my gesig na u toe op te lig, o my God, want ons oortre-dings het bo ons koppe uitge-styg en ons skuld het opgehoop tot by die hemel.^d **7** Van die dae van ons voorvaders af tot vandag toe is ons skuld groot,^e en weens ons oortredings is ons, ons konings en ons pries-ters in die hand van die konings van die lande gegee. Ons is met die swaard doodgemaak,^f gevang geneem,^g beroof^h en verne-der, net soos vandag.ⁱ **8** Maar nou het Jehovah ons God vir 'n kort rukkie genade aan ons be-toon deur party van ons te laat oorbly en deur vir ons veilig-heid* in sy heilige plek te gee,^j om ons oë te laat straal, o ons God, en om ons 'n bietjie ver-ligting te gee terwyl ons slawe

9:4 *Lett. "wat vir . . . gebewe het". ^aD.w.s. mense wat uit hulle land weg-gevoer is. **9:8** *Lett. "n pen", moont-lik 'n tentpen.

is. **9** Want al is ons slawe,^a het ons God ons nie in ons slawery gelos nie, maar hy bewys sy lojale liefde aan ons voor die konings van Persië,^b wat ons toegelaat het om terug te keer om die verwoeste huis van ons God te herbou.^c God het ons beskerming* in Juda en in Jerusalem gegee.

10 "Maar wat kan ons dan nou ná al hierdie dinge sê, o ons God? Want ons het u gebooi verlaat, **11** wat u ons deur u knegte die profete gegee het deur te sê: 'Die land wat julle ingaan om in besit te neem, is 'n onrein land weens die onreinheid van die volke van die lande, weens hulle afskuwelike gebruike. Hulle het die land van die een end tot die ander end met hulle onreinheid gevul.'^d

12 Daarom moet julle nie julle dogters aan hulle seuns gee nie en ook nie hulle dogters vir julle seuns aanvaar nie,^e en julle moet hulle nooit help om vrede te hê en voorspoedig te wees nie,^f sodat julle sterk kan word en die goeie dinge van die land kan eet en dit vir ewig vir julle kinders in besit kan neem.'

13 En ná alles wat met ons gebeur het weens ons slegte dade en ons groot skuld - want u, o ons God, het ons nie gestraf volgens wat ons vir ons oortreding verdien nie,^g en u het dié van ons wat nou hier is, toegelaat om oor te bly^h - **14** sal ons weer u gebooi verbreek en ons in die huwelik verbind* met die volke wat hierdie afskuwelike dinge doen? Sal u nie so kwaad vir ons word dat u ons heeltemal sal vernietig sodat niemand sal oorbly of oorleef nie? **15** O Jehovah, die God van Israel, u

9:9 *Of "n klipmuur". 9:14 *Of "en ondertrou".

HFST. 9

a Ne 9:36, 37

b Esr 1:1-3

c Esr 6:14
Sag 4:9

d Le 18:24
De 12:30, 31
De 18:9-11

e Eks 23:32
Eks 34:15, 16
De 7:3, 4
Jos 23:12, 13

f De 23:3, 6

g Ps 103:8, 10
Klg 3:22

h Ps 106:46

i Esr 9:1
Ne 13:23

Tweede kol.

a Ne 9:33
Da 9:7

b Ps 130:3
Ps 143:2

HFST. 10

c Esr 9:5, 6

d Esr 10:26, 44

e Esr 2:1, 7

f Esr 9:2

g 2Kn 11:17
2Kr 29:10
2Kr 34:31

h Esr 9:4

i Ne 10:28-30

j Esr 9:3, 4
Da 9:3-5

is regverdig,^a want ons het oorgebly as 'n volk tot vandag toe. Hier staan ons skuldig voor u, want dit is onmoontlik om voor u te staan as gevolg van wat ons gedoen het."^b

10 Terwyl Esra gebid^c en die sondes van die volk bely het, het hy huilend en uitgestrek op die grond voor die huis van die ware God gelê. En 'n baie groot groep mans, vrouens en kinders uit Israel het by hom bymekaargekom, want die volk het bitterlik gehuil. **2** Toe het Segan'ja, die seun van Jehi'ël,^d van die seuns van Elam,^e vir Esra gesê: "Ons het ontrou teenoor ons God opgetree deur met uitlandse vrouens uit die volke van die land te trou."^f Maar tog is daar nog hoop vir Israel. **3** Laat ons dan nou 'n verbond met ons God maak^g om al die vrouens en dié wat uit hulle gebore is, weg te stuur, volgens die riglyne van Jehovah en van dié wat diep respek het vir* die gebod van ons God.^h Laat ons volgens die Wet optree. **4** Staan op, want hierdie saak is u verantwoordelikheid, en ons is met u. Wees sterk en tree op."

5 Daarop het Esra opgestaan en die hoofde van die priesters, die Leviëte en die hele Israel 'n eed laat aflê om te doen wat gesê is.ⁱ Hulle het dus 'n eed afgeleë. **6** Esra het toe voor die huis van die ware God opgestaan en na die eetkamer van Joha'nán, die seun van Elja'sib, gegaan. Al het hy daarheen gegaan, het hy nie kos geëet of water gedrink nie, want hy het oor die ontrouheid van die ballinge* getreur.^j

10:2 *Of "deur . . . in ons huise te neem". 10:3 *Lett. "wat bewe vir". 10:6 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

7 Toe het hulle deur die hele Juda en Jerusalem aangekondig dat al die mense wat voorheen ballinge was, in Jerusalem bymekaar moet kom **8** en dat die leiers en die ouermanne besluit het dat 'n persoon se besittings weggevat* sou word en dat hy uit die gemeente van die ballinge verban sou word as hy nie binne drie dae gekom het nie.^a **9** Toe het al die manne van Juda en Benjamin binne drie dae in Jerusalem bymekaargekom, dit wil sê in die negende maand, op die 20ste dag van die maand. Die hele volk het in 'n voorhof van die huis van die ware God gesit, en hulle het gebewe weens hierdie saak en weens die swaar reën.

10 Toe het die priester Esra opgestaan en vir hulle gesê: "Julle het ontrou opgetree omdat julle met uitlandse vrouens getrou het,^b en deur dit te doen, het julle bygedra tot die skuld van Israel. **11** Bely dan nou julle sondes aan Jehovah, die God van julle voorvaders, en doen sy wil. Sonder julle af van die volke van die land en van hierdie uitlandse vrouens."^c

12 Toe het die hele gemeente met 'n harde stem geantwoord: "Dit is ons plig om te doen presies wat jy sê. **13** Maar daar is baie mense, en dit is die reënseisoen. Dit is nie moontlik om buite te staan nie, en die saak sal nie net een of twee dae neem nie, want ons het grootliks teen God gesondig. **14** Laat ons leiers dan nou asseblief die hele gemeente verteenwoordig,^d en laat almal in ons stede wat met uitlandse vrouens getrou het op 'n vasgestelde tyd kom, saam met die ouermanne en regters van elke stad, totdat ons die

10:8 *Of "met 'n ban (vloek) getref".

HFST. 10
a Esr 7:26

b Ne 13:23

c De 7:3, 4
Ne 13:3
2Kor 6:17

d Esr 9:1

Tweede kol.

a Ne 8:7
Ne 11:16

b Esr 9:1, 2
Ne 13:28
Ese 44:22
Mal 2:7, 8

c Esr 2:1, 2
Esr 3:2
Sag 6:11

d Le 5:17, 18

e 1Kr 24:3, 14
Esr 2:1, 37

f 1Kr 24:3, 8
Esr 2:1, 39

g Esr 2:1, 38

h Esr 2:1, 3
Ne 3:25

brandende woede van ons God oor hierdie saak laat bedaar het."

15 Maar Jo'natan, die seun van A'sahel, en Jagse'ja, die seun van Tikwa, was hierteen gekant, en die Leviete Mesul'lam en Sab'betai^a het hulle ondersteun. **16** Maar die mense wat voorheen ballinge was, het gedoen wat besluit is, en die priester Esra en die familiehoofde van hulle vaderhuise, wat almal by hulle name genoem is, het op die eerste dag van die tiende maand alleen bymekaargekom om die saak te bespreek.

17 Teen die eerste dag van die eerste maand het hulle al die sake afgehandel in verband met die mans wat met uitlandse vrouens getrou het. **18** En daar is ontdek dat party van die seuns van die priesters met uitlandse vrouens getrou het:^b van die seuns van Je'sua,^c die seun van Jo'sadak, en sy broers was daar Maäse'ja, Eliëser, Jarib en Gedal'ja. **19** Maar hulle het belowe* om hulle vrouens weg te stuur, en omdat hulle skuldig was, sou hulle 'n skaapram uit die kudde offer vir hulle skuld.^d

20 Van die seuns van Immer^e was daar Hana'ni en Sebad'ja. **21** Van die seuns van Harim:^f Maäse'ja, Eli'a, Sema'ja, Jehi'ël en Ussi'a. **22** Van die seuns van Pasgur:^g Eljoënai, Maäse'ja, Is'mael, Neta'nel, Jo'sabad en Elea'sa. **23** En van die Leviete was daar Jo'sabad, Si'mei, Kela'ja (wat ook Keli'ta genoem is), Petag'ja, Juda en Eliëser. **24** Van die sangers: Elja'sib. Van die poortwagters: Sallum, Telem en Uri.

25 En van Israel, van die seuns van Paros,^h was daar

10:19 *Lett. "hulle het hulle hande gegee".

Ramja, Jissi'a, Malki'a, Mija'min, Elea'sar, Malki'a en Bena'ja. **26** Van die seuns van Elam:^a Mattan'ja, Sagari'a, Jehi'el.^b Abdi, Je'remot en Eli'a. **27** Van die seuns van Sattu:^c Eljoënai, Elja'sib, Mattan'ja, Je'remot, Sabad en Asi'sa. **28** Van die seuns van Bebai:^d Jo'hanan, Hanan'ja, Sabbai en Atlai. **29** Van die seuns van Bani: Mesul'lam, Mallug, Ada'ja, Jasub, Seal en Je'remot. **30** Van die seuns van Pahat-Moab:^e Adna, Kelal, Bena'ja, Maäse'ja, Mattan'ja, Besa'leël, Bin'nui en Manas'se. **31** Van die seuns van Harim:^f Eliëser, Jissi'ja, Malki'a,^g Sama'ja, Si'meon, **32** Benjamin, Mallug en Semar'ja. **33** Van

HFST. 10

a Esr 2:1, 7

Esr 8:1, 7

b Esr 10:2

c Esr 2:1, 8

d Esr 2:1, 11

Esr 8:1, 11

e Esr 2:1, 6

f Esr 2:1, 32

g Ne 3:11

Tweede kol.

a Esr 2:1, 19

Ne 8:4

b De 7:3, 4

c Esr 10:16, 17

die seuns van Hasum:^a Mat'tenai, Mattat'ta, Sabad, Elife'let, Jere'mai, Manas'se en Si'mei. **34** Van die seuns van Bani: Ma'adai, Amram, U'el, **35** Bena'ja, Bede'ja, Kelu'hi, **36** Wanja, Me'remot, Elja'sib, **37** Mattan'ja, Mat'tenai en Ja'asai. **38** Van die seuns van Bin'nui: Si'mei, **39** Selem'ja, Natan, Ada'ja, **40** Magnad'bai, Sasai, Sa'rai, **41** Asa'reël, Selem'ja, Semar'ja, **42** Sallum, Amar'ja en Josef. **43** Van die seuns van Nebo: Jeïel, Mattit'ja, Sabad, Sebi'na, Jaddai, Joël en Bena'ja. **44** Hulle almal het met uitlandse vrouens getrou,^b en hulle het hulle vrouens saam met hulle kinders weggestuur.^c

NEHEMIA

OORSIG

- | | |
|---|--|
| <p>1 Nuus uit Jerusalem (1-3)
Nehemia se gebed (4-11)</p> <p>2 Nehemia na Jerusalem gestuur (1-10)
Nehemia ondersoek stadsmure (11-20)</p> <p>3 Mure herbou (1-32)</p> <p>4 Werk vorder ondanks teenstand (1-14)
Bouwerk gaan voort met gewapende werkers (15-23)</p> <p>5 Nehemia maak einde aan uitbuiting (1-13)
Nehemia se onselfsugtigheid (14-19)</p> <p>6 Bouwerk nog steeds teëgestaan (1-14)
Muur in 52 dae voltooi (15-19)</p> <p>7 Stadspoorte en poortwagters (1-4)
Lys van ballinge wat teruggekeer het (5-69)
Tempelknegte (46-56)
Kinders van knegte van Salomo (57-60)
Bydraes vir werk (70-73)</p> | <p>8 Wet voorgelees en verduidelik (1-12)
Huttefees gevier (13-18)</p> <p>9 Volk bely hulle sondes (1-38)
Jehovah, gereed om te vergewe (17)</p> <p>10 Volk stem in om Wet te gehoorsaam (1-39)
"Ons sal nie die huis van ons God verwaarloos nie" (39)</p> <p>11 Jerusalem weer bevolk (1-36)</p> <p>12 Priesters en Leviete (1-26)
Inwyding van muur (27-43)
Ondersteuning vir tempeldiens (44-47)</p> <p>13 Nog regstellings deur Nehemia (1-31)
Tiendes moet gegee word (10-13)
Sabbat moenie ontheilig word nie (15-22)
Ondertrouery veroordeel (23-28)</p> |
|---|--|

1 Hier volg die woorde van Nehemi'a,^a die seun van Hagal'ja: In die maand Kislef,[#] in die 20ste jaar, was ek in die paleis^A Susan.^{ab} **2** Hana'ni,^c een van my broers, het daar aangekom saam met ander manne uit Juda, en ek het hulle gevra oor die oorblywende Jode wat uit die gevangenskap vrygelaat is,^d en ook oor Jerusalem. **3** Hulle het geantwoord: "Dit gaan baie sleg met dié wat nog daar in die provinsie* is en wat die gevangenskap oorleef het, en almal spot met hulle.^e Die mure van Jerusalem is afgebreek,^f en sy poorte is met vuur verbrand."^g

4 Toe ek hierdie woorde hoor, het ek dadelik gaan sit en begin huil en dae lank getreur, en ek het die hele tyd voor die God van die hemel gevas^h en gebid. **5** Ek het gesê: "O Jehovah, die God van die hemel, u is die groot en ontsagwekkende God wat u verbond hou en wat lojale liefde betoon aan almal wat u liefhet en u gebooie gehoorsaam.ⁱ **6** Moet asseblief nie u ore en oë sluit vir die gebed wat u kneg nou dag en nag tot u bid^j oor u knegte, die Israëliete, nie. Ek het die hele tyd die sondes bely wat u volk Israel teen u gepleeg het. Ons het gesondig, ek sowel as die huis van my vader.^k **7** Ons het beslis goddeloos teen u opgetree^l deur nie gehoorsaam te wees aan die gebooie, die wetsvoorskrifte en die regterlike bevel wat u aan u kneg Moses gegee het nie."^m

8 "Dink asseblief aan wat u vir u kneg Moses gesê het: 'As julle ontrou is, sal ek julle onder die volke verstrooi.'ⁿ **9** Maar as julle na my terugkeer en my ge-

1:1 *Beteken "Jah vertroos". 1:1; 2:1 #Sien Aanh. B15. 1:1 ^AOf "vesting". ^{ab}Of "Susa". 1:3 *Of "regsgebied".

HFST. 1

- a Ne 1:11
- Ne 5:14
- Ne 10:1
- b Est 1:2
- Est 3:15
- Da 8:2
- c Ne 7:2
- d Jer 52:30
- e 1Kn 9:7
- Ne 9:36, 37
- Ps 79:4
- f 2Kn 25:10
- g Ne 2:17
- Klg 1:4
- h 2Kr 20:3
- Esr 8:21
- i De 7:9
- Da 9:4
- j Ps 88:1
- Lu 18:7
- k 2Kr 29:6
- Esr 9:6
- l Ps 106:6
- m Le 27:34
- Nu 36:13
- De 12:1
- Ne 9:34
- n Le 26:33
- De 4:27
- De 28:64

Tweede kol.

- a De 30:1-4
- b De 12:5
- Ps 132:13
- c Le 25:42
- De 5:15
- De 9:26, 29
- d 1Kn 8:49, 50
- Esr 7:6
- Ps 106:46
- Spr 21:1
- e Ne 2:1

HFST. 2

- f Ne 1:1
- g Esr 7:1
- Ne 13:6
- h Ne 1:11
- i Ne 1:2, 3
- j 1Sa 1:13
- k Da 9:25

booie onderhou en gehoorsaam, sal ek julle bymekaarmaak,^a al is julle tot aan die einde van die hemel verstrooi, en ek sal julle na die plek toe bring wat ek vir my naam uitgekies het."^b

10 Hulle is u knegte en u volk, wat u deur u groot krag en deur u sterk hand gered het.^c

11 Ag, Jehovah, luister asseblief na die gebed van u kneg en na die gebed van u knegte wat vreugde daarin vind om u naam te vrees. Laat u kneg vandag asseblief suksesvol wees, en mag hierdie man medelye* aan my betoon."^d

Ek was op daardie stadium die koning se skinker.^e

2 In die maand Nisan,[#] in die 20ste jaar^f van koning Artasas'ta,^g is wyn voor hom neergesit, en ek het soos gewoonlik die wyn geneem en dit vir die koning gegee.^h Maar ek was nog nooit tevore hartseer in sy teenwoordigheid nie. **2** Daarom het die koning vir my gesê: "Hoekom lyk jy so hartseer? Jy is mos nie siek nie. Ek kan sien dat jy bekommerd is oor iets." Toe hy dit sê, het ek baie bang geword.

3 Toe het ek vir die koning gesê: "Lank lewe die koning! Hoekom sou ek nie hartseer lyk as die stad, die plek waar my voorvaders begrawe is, verwoes is en sy poorte deur vuur vernietig is nie?"ⁱ **4** Die koning het my toe gevra: "Wat wil jy graag hê?" Ek het dadelik tot die God van die hemel gebid.^j

5 Ek het toe vir die koning gesê: "As dit goed is in die koning se oë en as u kneg u goedkeuring het, stuur my na Juda, na die stad waar my voorvaders begrawe is, sodat ek dit kan herbou."^k

6 Toe het die koning, terwyl die koningin langs hom gesit het,

1:11 *Sien Woordelys.

vir my gevra: "Hoe lank sal jou reis wees, en wanneer sal jy terugkom?" Die koning het toe vir my toestemming gegee om te gaan,^a en ek het vir hom gesê hoe lank ek weg sal wees.^b

7 Ek het toe vir die koning gesê: "As dit goed is in die koning se oë, gee dan vir my briewe vir die goewerneys van die gebied anderkant die Rivier,^{*c} sodat ek veilig deur hulle gebied mag reis op pad na Juda toe, **8** sowel as 'n brief aan Asaf die opsigter van die koning se woud,^{*d} sodat hy vir my hout sal gee vir balke vir die poorte van die Vesting^d van die Tempel,^{*e} vir die mure van die stad^e en vir die huis waar ek sal bly." Die koning het dit dus vir my gegee,^f want die goeie hand van my God was met my.^g

9 Uiteindelik het ek by die goewerneys van die gebied anderkant die Rivier gekom en die koning se briewe vir hulle gegee. Die koning het ook hoofde van die leërmag en perderuiters saam met my gestuur. **10** Toe Sanbal'lat,^h die Horoniet, en Tobi'a,ⁱ die Ammonitiese^j amptenaar,^{*k} daarvan hoor, was hulle baie ontevrede dat iemand gekom het om iets goeds vir die Israëliete te doen.

11 Uiteindelik het ek in Jerusalem aangekom, en ek het drie dae daar gebly. **12** Ek het in die nag opgestaan, ek en 'n paar manne saam met my, en ek het niemand vertel wat my God in my hart gesit het om vir Jerusalem te doen nie, en behalwe die dier waarop ek gery het, was daar geen ander dier by my nie. **13** En ek het in die nag deur die Valleipoort^k uit-

2:7 *Of "die goewerneys van die Trans-Eufraat". 2:8 *Of "die koninklike park". #Lett. "Huis". 2:10, 19 *Lett. "kneg".

HFST. 2

a Ne 1:11

b Ne 5:14
Ne 13:6c Jos 1:4
Esr 5:3

d Ne 7:2

e Ne 1:3

f Esr 7:21

g Esr 7:6

h Ne 4:1
Ne 6:2i Ne 2:19
Ne 4:3
Ne 6:14
Ne 13:7

j Ne 13:1

k 2Kr 26:9

Tweede kol.

a Ne 3:13

b Ne 1:3
Klg 1:4
Klg 2:9c Ne 3:15
Ne 12:37d 2Sa 15:23
Joh 18:1

e Ne 4:14

f Esr 7:6, 28
Ne 2:7, 8

g Da 9:25

h Hag 1:14

i Ne 6:14

j Ne 13:1, 2

k Ne 4:7
Ne 6:1, 2

l Ps 79:4

m Ne 6:6

n Ps 127:1

gegaan en voor die Fontein van die Groot Slang verbygegaan na die Aspoort,^a en ek het die mure van Jerusalem ondersoek wat afgebreek is, sowel as die poorte wat deur vuur vernietig is.^b

14 Ek het verder gegaan na die Fonteinpoort^c en na die Koning se Dam, en daar was nie genoeg plek vir die dier waarop ek gery het, om daar verby te kom nie.

15 Maar in die nag het ek verder in die vallei^{*d} opgeklim en aangehou om die muur te ondersoek. Daarna het ek weer deur die Valleipoort ingekom en huis toe gegaan.

16 Die amptenare^e het nie geweet waarheen ek gegaan het en waarmee ek besig was nie, want ek het nog niks vir die Jode, die priesters, die leiers, die amptenare en die res van die werkers gesê nie. **17** Uiteindelik het ek vir hulle gesê: "Julle kan sien hoe sleg dit met ons gaan, hoe Jerusalem verwoes is en sy poorte met vuur verbrand is. Kom, laat ons die mure van Jerusalem herbou, sodat hierdie skandelike situasie tot 'n einde kan kom." **18** Toe het ek hulle vertel van hoe die goeie hand van my God met my was,^f en ook van wat die koning vir my gesê het.^g Hulle het geantwoord: "Kom ons bou." En hulle het hulle gereedgemaak^{*h} vir die goeie werk.^h

19 Toe Sanbal'lat, die Horoniet, Tobi'a,ⁱ die Ammonitiese^j amptenaar,^{*k} en Gesem, die Arabier,^k dit hoor, het hulle ons begin uitlag^l en ons gespot en gevra: "Wat doen julle? Kom julle in opstand teen die koning?"^m **20** Maar ek het geantwoord: "Die God van die hemel sal ons suksesvol laat wees,ⁿ en ons, sy knegte, sal opstaan en bou,

2:15 *Of "wadi". Sien Woordelys. 2:18 *Lett. "hulle hande versterk".

maar julle het geen aandeel of reg in Jerusalem nie, en julle is geen deel van die stad se geskiedenis nie.”^a

3 Die hoëpriester Elja'sib^b en sy broers, die priesters, het opgestaan om die Skaappoort^c te bou. Hulle het dit geheilig^{*d} en die deure ingesit. Hulle het dit tot by die Mea-toring^e en tot by die Hana'nel-toring^f geheilig. **2** Langs hulle het die manne van Je'rigo^g gebou, en langs hulle het Sakkur, die seun van Imri, gebou.

3 Die seuns van Hasse'naä het die Vispoort^h gebou. Hulle het die balke ingesit,ⁱ en toe die deure, die sluitbalke en die grendels. **4** Langs hulle het Me'remot,^j die seun van Uri'a, die seun van Hakkos, herstelwerk gedoen, en langs hulle het Mesul'lam,^k die seun van Bereg'ja, die seun van Mesesa'bel, herstelwerk gedoen, en langs hulle het Sadok, die seun van Baäna, herstelwerk gedoen. **5** En langs hulle het die Tekoiete^l herstelwerk gedoen, maar die belangrike manne onder hulle wou hulle nie verneder^{*} om werk vir hulle meesters te doen nie.

6 Joja'da, die seun van Pase'ag, en Mesul'lam, die seun van Besod'ja, het die Poort van die Ou Stad^m reggemaak. Hulle het die balke ingesit, en toe die deure, die sluitbalke en die grendels. **7** Langs hulle het Melat'ja, die Gibeoniet,ⁿ en Jadon, die Meronotiet, herstelwerk gedoen, manne van Gibeon en Mispa^o wat onder die gesag was^{*} van die goewerneur van die gebied ander-

2:20 *Of “en julle het geen historiese aanspraak op die stad nie”. 3:1 *Of “toegewy”. 3:5 *Of “wou nie hulle nek buig”. 3:7 *Lett. “wat behoort het aan die troon”.

HFST. 2

a Esr 4:1-3

HFST. 3

b Ne 12:10
Ne 13:4, 28

c Joh 5:2

d Ne 12:30

e Ne 12:38, 39

f Jer 31:38
Sag 14:10

g Esr 2:1, 34

h 2Kr 33:1, 14
Sef 1:10

i Ne 2:7, 8

j Esr 8:33
Ne 3:21

k Ne 3:30
Ne 6:17, 18

l Ne 3:27
Am 1:1

m Ne 12:38, 39

n 2Sa 21:2

o Jos 18:21, 26
2Kr 16:6
Jer 40:6

Tweede kol.

a Ge 15:18

b Ne 12:38

c Esr 2:1, 32

d Esr 2:1, 6

e Ne 12:38

f Jos 15:20, 34
Ne 11:25, 30

g 2Kr 26:9

h Ne 2:13

i Jer 6:1

j Jos 18:21, 26

k Ne 2:14
Ne 12:37

l Jes 22:9

kant die Rivier.^{*a} **8** Langs hulle het Us'siël, die seun van Harha'ja, een van die goudsmede, herstelwerk gedoen, en langs hom het Hanan'ja, een van die salfmengers,^{*} herstelwerk gedoen, en hulle het plaveiklippe in Jerusalem gelê tot by die Breë Muur.^b **9** En langs hulle het Refa'ja, die seun van Hur, 'n leier van die helfte van die Jerusalem-distrik, herstelwerk gedoen. **10** Langs hulle het Jeda'ja, die seun van Haru'maf, herstelwerk oorkant sy eie huis gedoen, en langs hom het Hattus, die seun van Hasabne'ja, herstelwerk gedoen.

11 Malki'a, die seun van Harim,^c en Hassub, die seun van Pahat-Moab,^d het 'n ander deel^{*} reggemaak, sowel as die Oondtoring.^e **12** En langs hulle het Sallun, die seun van Hallo'hes, 'n leier van die helfte van die Jerusalem-distrik, herstelwerk gedoen, hy en sy dogters.

13 Hanun en die inwoners van Sano'ag^f het die Valleipoort^g reggemaak. Hulle het dit gebou en toe die deure, die sluitbalke en die grendels ingesit, en hulle het 1 000 el^{*} van die muur tot by die Aspoort^h reggemaak. **14** Malki'a, die seun van Regab, 'n leier van die distrik Bet-Hakke'rem,ⁱ het die Aspoort reggemaak. Hy het dit gebou en die deure, die sluitbalke en die grendels ingesit.

15 Sallun, die seun van Kolhose', 'n leier van die distrik Mispa,^j het die Fonteinpoort^k reggemaak. Hy het die poort en die dak gebou, en hy het die deure, die sluitbalke en die grendels ingesit. Hy het ook die muur van die Kanaaldam^l by

3:7 *Of “die goewerneur van die Trans-Eufraat”. 3:8 *Of “parfuummakers”. 3:11 *Of “afgemete deel”. 3:13 *Omtrent 445 m. Sien Anh. B14.

die Koningstuin^a reggemaak tot by die Trap^b wat van die Stad van Dawid^c afloop.

16 Langs hom het Nehemi'a, die seun van Asbuk, 'n leier van die helfte van die distrik Bet-Sur,^d herstelwerk gedoen van oorkant die Grafte van Dawid^e af tot by die dam^f wat gebou is en tot by die Huis van die Vegters.

17 Langs hom het die Leviete herstelwerk gedoen: Rehum, die seun van Bani, en langs hom het Hasab'ja, 'n leier van die helfte van die distrik Kehi'la,^g herstelwerk vir sy distrik gedoen. **18** Langs hom het hulle broers herstelwerk gedoen: Bawwai, die seun van He'nadad, 'n leier van die helfte van die distrik Kehi'la.

19 En langs hom het Eser, die seun van Je'sua,^h 'n leier van Mispa, 'n ander deel reggemaak oorkant die plek waar 'n mens opgaan na die Wapenhuis by die Steunmuur.ⁱ

20 Langs hom het Barug, die seun van Sabbai,^j ywerig gewerk en 'n ander deel reggemaak, van die Steunmuur af tot by die ingang van die huis van die hoëpriester Elja'sib.^k

21 Langs hom het Me'remot,^l die seun van Uri'a, die seun van Hakkos, 'n ander deel reggemaak, van die een kant van Elja'sib se huis af, waar die ingang was, tot by die ander kant van die huis.

22 En langs hom het die priesters, manne van die Jordaandistrik,^m herstelwerk gedoen. **23** Langs hulle het Benjamin en Hassub herstelwerk oorkant hulle eie huis gedoen. Langs hulle het Asar'ja, die seun van Maäse'ja, die seun van Anan'ja, herstelwerk naby sy eie

3:22 *Of moontlik "die nabygeleë distrik".

HFST. 3

a Jer 39:4

b Ne 12:37

c 2Sa 5:7

d Jos 15:20, 58
2Kr 11:5-7

e 1Kn 2:10
2Kr 16:13, 14

f Ne 2:14

g Jos 15:20, 44

h Esr 2:1, 40

i 2Kr 26:9
Ne 3:24

j Esr 10:28, 44

k Ne 3:1
Ne 13:4

l Esr 8:33

m Ge 13:10

Tweede kol.

a Ne 3:19

b 2Sa 5:11
Ne 12:37

c Jer 37:21

d Esr 2:1, 3

e Jos 9:3, 27
1Kr 9:2
Esr 2:43-54
Esr 8:17, 20

f 2Kr 27:1, 3
2Kr 33:1, 14
Ne 11:21

g Ne 8:1
Ne 12:37

h Ne 3:5

i Jer 31:40

j Ne 13:13

k 1Kr 9:17, 18

l Ne 6:17, 18

huis gedoen. **24** Langs hom het Bin'nuï, die seun van He'nadad, 'n ander deel reggemaak, van die huis van Asar'ja af tot by die Steunmuur^a en tot by die hoek.

25 Langs hom het Palal die seun van Usai herstelwerk gedoen oorkant die Steunmuur en die toring wat van die Paleis van die Koning^b uitsteek, die boonste toring wat by die Voorhof van die Wagte^c is. Langs hom was Peda'ja, die seun van Parios.^d

26 En die tempelknegte^{*e} wat in Ofel gewoon het,^f het herstelwerk gedoen tot oorkant die Waterpoort^g aan die ooste-kant en tot by die toring wat uitsteek.

27 Langs hulle het die Tekoiete^h 'n ander deel reggemaak, van oorkant die groot toring wat uitsteek tot by die Ofelmuur.

28 Die priesters het bokant die Perdepoortⁱ herstelwerk gedoen, elkeen oorkant sy eie huis.

29 Langs hulle het Sadok,^j die seun van Immer, herstelwerk oorkant sy eie huis gedoen.

En langs hom het Sema'ja, die seun van Segan'ja, die opsigter van die Oospoort,^k herstelwerk gedoen.

30 Langs hom het Hanan'ja, die seun van Selem'ja, en Hanun, die sesde seun van Salaf, 'n ander deel reggemaak.

Langs hom het Mesul'lam,^l die seun van Bereg'ja, herstelwerk oorkant sy eie saal gedoen.

31 Langs hom het Malki'a, 'n goudsmid,^{*m} herstelwerk gedoen tot by die huis van die

3:26 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". 3:31 *Of "'n lid van die gilde van die goudsmede".

tempelknegte^a en die handelaars, oorkant die Inspeksi-poort en tot by die dakvertrek van die hoek.

32 En tussen die dakvertrek van die hoek en die Skaappoort^b het die goudsmede en die handelaars herstelwerk gedoen.

4 Toe Sanbal'lat^c hoor dat ons die muur herbou, het hy kwaad geword en hom baie vererg, en hy het die Jode bly spot. **2** Hy het voor sy broers en die leërmag van Samari'a gevra: "Wat maak hierdie magtelose Jode? Gaan hulle dit op hulle eie doen? Gaan hulle offerandes bring? Gaan hulle binne 'n dag klaarmaak? Gaan hulle die swartgebrande klippe lewend maak wat op die stowwerige hope rommel lê?"^d

3 En Tobî'a,^e die Ammoniet,^f het langs hom gestaan en het gesê: "Selfs as 'n jakkals op hulle klipmuur klim, sal hy dit laat omval."

4 Hoor, o ons God, want ons word gespot, en laat hulle beleedigings^g op hulle eie koppe terugkom,^h en laat hulle as gevangenes weggeneem word na 'n ander land. **5** En moenie hulle skuld bedek of hulle sonde voor u uitvee nie,ⁱ want hulle het die bouers beledig.

6 Ons het aangehou om die muur te bou, en ons het al die gapings toegemaak en die hele muur tot op die helfte van sy hoogte herbou, en die volk het aangehou om met hulle hele hart te werk.

7 Toe Sanbal'lat, Tobî'a,^j die Arabiere,^k die Ammoniete en die Asdodiete^l hoor dat die herstelwerk aan die mure van Jerusalem vorder en dat die gapings toegemaak word, het hulle baie

3:31 *Of "die Netinim". Lett. "die geewenes".

HFST. 3
a Ne 3:26

b Ne 3:1
Joh 5:2

HFST. 4
c Ne 2:10
Ne 6:1, 2
Ne 13:28

d Ne 4:10

e Ne 2:19

f Ne 13:1, 2

g Ps 123:3

h Ps 79:12

i Jer 18:23

j Ne 4:3

k Ne 2:19

l Jos 13:2, 3
Ne 13:23

Tweede kol.
a Ne 13:17

b Nu 14:9
De 20:3
Jos 1:9

c De 7:21
De 10:17

d Ne 5:16

kwaad geword. **8** Hulle het planne beraam om teen Jerusalem te kom veg en om 'n versteuring te kom veroorsaak. **9** Maar ons het tot ons God gebed, en ons het wagte geplaas om ons dag en nag teen hulle te beskerm.

10 Die mense van Juda het egter gesê: "Die werkers* het moeg geword, en daar is soveel rommel wat verwyder moet word. Ons sal nooit die muur kan bou nie."

11 En ons vyande het bly sê: "Voordat hulle hulle oë uitvee, sal ons tussen hulle inkom en hulle doodmaak en die werk stopsit."

12 Wanneer die Jode wat naby ons vyande gewoon het, ingekom het, het hulle oor en oor* vir ons gesê: "Hulle sal ons uit alle rigtings aanval."

13 Daarom het ek manne geplaas op die laagste dele van die plek agter die muur, die dele wat maklik aangeval kon word, en ek het hulle volgens families geplaas met hulle swaarde, hulle spiese en hulle boë. **14** Toe ek sien hoe bang hulle is, het ek onmiddellik opgestaan en vir die leiers,^a die amptenare en die res van die volk gesê: "Moenie vir hulle bang wees nie.^b Dink aan Jehovah, wat groot en ont-sagwekkend is.^c Veg vir julle broers, julle seuns en dogters, julle vrouens en huise."

15 Nadat ons vyande gehoor het dat ons uitgevind het wat hulle doen en dat die ware God hulle plan laat misluk het, het ons almal weer aan die muur begin werk. **16** Van daardie dag af het die helfte van my manne die werk gedoen,^d en die ander helfte van hulle het die spiese, die skilde, die boë en die

4:10 *Of "lasdraers". 4:12 *Lett. "tien keer".

pantser^s* vasgehou. En die leiers^a het hulle ondersteuning gegee aan^r die hele huis van Juda **17** wat die muur gebou het. Die werkers wat die vrage gedra het, het die werk met een hand gedoen terwyl hulle 'n wapen* met die ander hand vasgehou het. **18** Elke bouer het 'n swaard aan sy heup gehad terwyl hy gebou het, en die een wat die horing moes blaas,^b het langs my gestaan.

19 Ek het toe vir die leiers, die amptenare en die res van die volk gesê: “Die werk is groot en uitgebreid, en ons is ver van mekaar af al langs die muur versprei. **20** Wanneer julle die geulid van die horing hoor, moet julle by ons bymekaarkom. Ons God sal vir ons veg.”^c

21 Ons het dus aangehou werk terwyl die ander helfte die spiese vasgehou het, van dagbreek af totdat die sterre uitgekome het. **22** Ek het toe vir die volk gesê: “Laat die manne, elkeen met sy dienaar, in Jerusalem oornag. In die nag sal hulle ons beskerm, en gedurende die dag sal hulle werk.” **23** Ek, my broers, my dienaars^d en die wagte wat my gevolg het, het nooit ons klere uitgetrek nie, en elkeen van ons het sy wapen in sy regterhand vasgehou.

5 Maar daar was 'n groot gekla onder die mans en hulle vrouens teen hulle Joodse broers.^e **2** Party het gesê: “Ons het baie seuns en dogters. Ons moet graan in die hande kry sodat ons kan eet en bly lewe.” **3** Ander het gesê: “Ons gee ons landerye en ons wingerde en ons huise as waarborg sodat ons gedurende die voedsel-

4:16 *'n Pantser is 'n beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is. ^rLett. “het gestaan agter”. **4:17** *Of “spies”.

HFST. 4

a Ne 11:1

b Nu 10:9
2Kr 13:12c De 1:30
Jos 23:10

d Ne 13:19

HFST. 5

e De 15:9

Tweede kol.

a De 28:15, 33
Ne 9:36, 37b Eks 21:7
De 15:12c Eks 22:25
De 23:19
Ps 15:5
Ese 22:12d Le 25:35
De 15:7, 8
Jer 34:8, 9e Le 25:36
Ne 5:15

f Ese 18:5, 8

g Ne 5:3

tekort graan kan kry.” **4** Nog ander het gesê: “Ons het ons landerye en ons wingerde as waarborg gegee sodat ons geld kan leen vir die koning se skatting.*^a **5** Ons is van dieselfde vlees en bloed as ons broers,* en ons kinders is net soos hulle kinders. En tog moet ons ons seuns en dogters as slawe verkoop, en van ons dogters is alreeds slavinne.^b Maar ons kan niks doen om dit te keer nie, want ons landerye en ons wingerde behoort aan ander mense.”

6 Ek het baie kwaad geword toe ek hoor hoe hulle kla en wat hulle sê. **7** Toe het ek in my hart hieroor nagedink, en ek het dit met die leiers en die amptenare bespreek en vir hulle gesê: “Elkeen van julle vra rente van sy eie broer.”^c

Daarna het ek as gevolg van hulle 'n groot vergadering gereël. **8** En ek het vir hulle gesê: “Ons het alles gedoen wat ons kon om ons Joodse broers wat aan die nasies verkoop was, terug te koop. Maar gaan julle nou julle eie broers verkoop,^d en gaan hulle weer aan ons verkoop word?” Toe hulle dit hoor, het hulle stilgebly, en hulle het niks gehad om te sê nie. **9** Toe het ek gesê: “Wat julle doen, is nie goed nie. Behoort julle nie ons God te vrees in alles wat julle doen,^e sodat die nasies, ons vyande, ons nie kan bespot nie? **10** Wat meer is, ek, my broers en my dienaars leen vir hulle geld en graan. Laat ons asseblief ophou om uit te leen en rente te vra.^f **11** Gee asseblief vandag nog hulle landerye,^g

5:4 *Sien Woordelys. **5:5** *Lett. “Soos die vlees van ons broers is ons vlees”. **5:7** *Of “buit sy eie broer uit”. **5:9** *Lett. “te wandel in die vrees van ons God”.

hulle wingerde, hulle olyfboorde en hulle huise terug, sowel as die honderdste* van die geld, die graan, die nuwe wyn en die olie wat julle as rente van hulle vra.”

12 Toe het hulle gesê: “Ons sal hierdie dinge vir hulle teruggee en niks terugvra nie. Ons sal presies doen wat u sê.” Toe het ek die priesters geroep en daardie manne laat sweer om hierdie belofte te hou. **13** En ek het die voue van my kleed uitgeskud* en gesê: “Mag die ware God elke man wat nie hierdie belofte hou nie, so van sy huis en van sy besittings uitskud, en mag hy so uitgeskud en leeggemaak word.” Toe het die hele gemeente gesê: “Amen!”[#] En hulle het Jehovah geloof, en die volk het hulle belofte nagekom.

14 Wat meer is, van die dag af dat die koning my as hulle goewerneur^a in die land van Juda aangestel het, van die 20ste jaar^b af tot die 32ste jaar^c van koning Artasas'ta,^d 12 jaar lank, het nie ek of my broers die kos geëet wat die goewerneur die reg gehad het om te ontvang nie.^e **15** Maar die vorige goewerneurs het dit moeilik gemaak vir die volk en het elke dag 40 sikkels* silwer by hulle geneem vir brood en wyn. En hulle dienaars het die volk onderdruk. Maar ek het dit nie gedoen nie^f omdat ek God gevrees het.^g

16 Wat meer is, ek het gehelp werk aan hierdie muur, en ons het nie 'n stuk grond verkry nie.^h Al my dienaars is daar bymekaargebring vir die werk. **17** Daar was 150 Jode en amprenare aan my tafel, sowel as

5:11 *Of “1 persent”, d.w.s. maandeliks. 5:13 *Lett. “ek het my boesem uitgeskud”. [#]Of “Laat dit so wees!” 5:15 *'n Sikkal was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

HFST. 5
a Ne 10:1
b Ne 2:1
c Ne 13:6
d Esr 8:1
e 1Kor 9:14, 15
2Te 3:8
f 2Kor 11:9
2Kor 12:14
g Ne 5:9
h Han 20:33
2Kor 12:17

Tweede kol.

a Ne 13:14
Ps 18:24
Jes 38:3
Mal 3:16

HFST. 6

b Ne 2:10
Ne 4:3
c Ne 2:19
Ne 4:7
d Da 9:25
e Ne 3:1, 3
f 1Kr 8:12
Ne 11:31, 35
g Ne 2:19
h Esr 4:14, 15

die mense wat uit die nasies na ons toe gekom het. **18** Elke dag is een bul, ses van die beste skape en voëls op my onkoste* voorberei, en een keer elke tien dae het ons allerhande soorte wyn in oorvloed gehad. Ten spyte hiervan het ek nie aangedring op die kostoelaag wat die goewerneur die reg gehad het om te ontvang nie, want die werk was alreeds 'n swaar las op die volk. **19** Dink tog aan my en seën my, o my God, vir alles wat ek vir hierdie volk gedoen het.^a

6 Net toe daar vir Sanbal'lat en Tobia^b en Gesem, die Arabier,^c en die res van ons vyande vertel is dat ek die muur herbou het^d en dat daar nie meer gapings in die muur was nie (al het ek tot op daardie tyd nog nie die deure in die poorte ingesit nie),^e **2** het Sanbal'lat en Gesem onmiddellik die volgende boodskap aan my gestuur: “Kom, en laat ons afsprek om in die dorpiens van die Valleivlakte van Ono^f te ontmoet.” Maar hulle het planne beraam om iets slegs aan my te doen. **3** Ek het dus boodskappers na hulle toe gestuur om te sê: “Ek is besig met 'n groot werk, en ek kan nie kom nie. Die werk sal stilstaan as ek dit los om na julle toe te kom.” **4** Hulle het dieselfde boodskap vier keer na my toe gestuur, en ek het hulle elke keer dieselfde antwoord gegee.

5 Toe het Sanbal'lat 'n vyfde keer sy dienaar met dieselfde boodskap na my toe gestuur, met 'n oop brief in sy hand. **6** Dit het gesê: “Daar word onder die nasies gesê, en Gesem^g sê dit ook, dat jy en die Jode planne beraam om in opstand te kom.^h Dit is hoekom jy die muur

5:18 *Lett. “vir my”.

bou, en volgens hierdie stories gaan jy hulle koning word. **7** Jy het ook profete aangestel om in die hele Jerusalem aan te kondig dat jy 'n koning in Juda is. En nou sal hierdie dinge vir die koning vertel word. Kom dan nou, en laat ons dit saam bespreek."

8 Maar ek het die volgende antwoord aan hom gestuur: "Nie een van die dinge wat jy gesê het, het gebeur nie. Jy het dit self* opgemaak." **9** Want hulle almal het ons probeer bang maak en het gesê: "Hulle hande sal slap word in die werk, en dit sal nie gedoen word nie."^a Maar nou bid ek: Versterk asseblief my hande.^b

10 Toe het ek na die huis van Sema'ja, die seun van Dela'ja, die seun van Meheta'bel, gegaan terwyl hy hom daar toegesluit het. Hy het gesê: "Laat ons 'n tyd vasstel om te ontmoet by die huis van die ware God, in die tempel, en laat ons die deure van die tempel toemaak, want hulle kom om u dood te maak. Hulle kom om u in die nag dood te maak." **11** Maar ek het gesê: "Moet 'n man soos ek vlug? Kan 'n man soos ek in die tempel ingaan en bly lewe?^c Ek sal nie ingaan nie!" **12** Toe het ek besef dat God hom nie gestuur het nie, maar dat Tobi'a en Sanbal'lat^d hom gehuur het om hierdie profesie teen my uit te spreek. **13** Hy is gehuur om my bang te maak en om my te laat sondig, want dan sou hulle my 'n slegte reputasie kon gee, sodat hulle my kon bespot.

14 O my God, dink aan Tobi'a^e en Sanbal'lat en aan wat hulle gedoen het en ook aan die profetes Noad'ja en die res van die profete wat my die hele tyd probeer bang maak het.

6:8 *Lett. "uit jou hart".

HFST. 6

a Esr 4:4

b Ps 68:35
Ps 138:3
Jes 41:10

c Nu 1:51
Nu 18:7
2Kr 26:18, 19

d Ne 2:10

e Ne 4:3, 4

Tweede kol.

a Ne 4:7
Ps 129:5

b Ne 5:7

c Esr 2:1, 5

d Ne 3:4

e Ne 6:9
Ne 6:10, 13

HFST. 7

f Ne 2:17
Ne 6:15
Da 9:25

g Ne 3:1, 6, 13

h 1Kr 26:1
Esr 2:1, 42

i 1Kr 9:33
Esr 2:1, 41

j Esr 3:8

k Ne 1:2

l Ne 2:8

m Ne 5:15

n Ne 11:1

15 Die muur is voltooi op die 25ste dag van Elul,* in 52 dae.

16 Toe al ons vyande dit hoor en al die nasies om ons dit sien, het hulle baie verneerd gevoel,*^a en hulle het besef dat hierdie werk met ons God se hulp gedoen is. **17** In daardie dae het die leiers^b van Juda baie briewe aan Tobi'a gestuur, en Tobi'a het dit beantwoord. **18** Baie in Juda het belowe om aan sy kant te wees, want hy was 'n skoonseun van Segan'ja, die seun van Arag,^c en sy seun Joha'nan het met die dogter van Mesul'lam,^d die seun van Bereg'ja, getrou. **19** Hulle het ook die hele tyd vir my goeie dinge van hom vertel en dan vir hom gaan vertel wat ek gesê het. Dan het Tobi'a briewe gestuur om my bang te maak.^e

7 Toe die muur herbou is,^f het ek die deure ingesit.^g Toe is die poortwagters,^h die sangersⁱ en die Leviete^j aangestel. **2** Ek het toe my broer Hana'ni^k oor Jerusalem aangestel, asook Hanan'ja die hoof van die Vesting,^l want hy was 'n baie betroubare man en het die ware God meer gevrees^m as baie ander mense. **3** Toe het ek vir hulle gesê: "Die poorte van Jerusalem moenie oopgemaak word voordat die son op sy warmste is nie, en terwyl hulle wag hou, moet hulle die deure met die sluitbalke toemaak. En stel die inwoners van Jerusalem as wagte aan, elkeen op sy eie wagpos en elkeen voor sy eie huis." **4** Die stad was groot, met min mense daarin,ⁿ en die huise is nog nie herbou nie.

5 Maar my God het dit in my hart gesit om die leiers en die amptenare en die volk

6:15 *Sien Aanb. B15. 6:16 *Lett. "het hulle grootliks in hulle eie oë geval".

bymekaar te bring, sodat hulle name in die geslagsregisters opgeteken kan word.^a Toe het ek die boek gevind van die geslagsregister van die mense wat eerste opgetrek het, en dit het gesê:

6 Hier volg 'n lys van die mense van die provinsie* wat uit die gevangenskap van die ballinge gekom het. Dit was die mense wat in ballingskap weg-geneem is^b deur koning Nebukadne'sar^c van Babilon en wat later na Jerusalem en Juda teruggekeer het, elkeen na sy eie stad,^d **7** die mense wat saam met Serubba'bel,^e Je'sua,^f Nehemi'a, Asar'ja, Raam'ja, Nahama'ni, Mor'degai, Bilsan, Mispere't, Bigwai, Nehum en Baäna gekom het.

Die getal Israelitiese manne het die volgende ingesluit:^g **8** die kinders van Paros: 2172. **9** Die kinders van Sefat'ja: 372. **10** Die kinders van Arag:^h 652. **11** Die kinders van Pahat-Moab,ⁱ van die kinders van Je'sua en Joab:^j 2818. **12** Die kinders van Elam:^k 1254. **13** Die kinders van Sattu: 845. **14** Die kinders van Sakkai: 760. **15** Die kinders van Bin'nui: 648. **16** Die kinders van Bebai: 628. **17** Die kinders van Asgad: 2322. **18** Die kinders van Adoni'kam: 667. **19** Die kinders van Bigwai: 2067. **20** Die kinders van Adin: 655. **21** Die kinders van Ater, van Hiski'a: 98. **22** Die kinders van Hasum: 328. **23** Die kinders van Besai: 324. **24** Die kinders van Harif: 112. **25** Die kinders van Gi'beon:^l 95. **26** Die manne van Betlehem en Neto'fa: 188. **27** Die manne van A'natot:^m 128. **28** Die manne van Bet-Asma'wet: 42. **29** Die manne van Kir'jat-Jea'rim,ⁿ Kefi'ra en Be'erot:^o 743. **30** Die man-

7:6 *Of "regsgebied".

- HFST. 7
- a 1Kr 9:1
- Esr 2:59, 62
- b 2Kn 24:12, 14
- 2Kr 36:17, 20
- Jer 39:9
- Jer 52:15, 28
- c 2Kn 25:1
- Da 3:1
- d Esr 2:1
- e Esr 1:8, 11
- Sag 4:9
- Mt 1:12
- f Esr 3:8
- Esr 5:2
- Hag 1:14
- Sag 3:1
- g Esr 2:2-35
- h Ne 6:17, 18
- i Esr 10:30, 44
- j Esr 8:1, 9
- k Esr 10:26, 44
- l Jos 11:19
- 2Sa 21:2
- Ne 3:7
- m Jos 21:8, 18
- Jer 1:1
- n 1Sa 7:2
- o Jos 18:25, 28

Tweede kol.

- a Jos 18:21, 24
- b 1Sa 13:5
- c 1Kn 12:32
- d Jos 7:2
- e Ne 6:2
- Ne 11:31, 35
- f Esr 2:36-39
- g Esr 10:22, 44
- h 1Kr 24:3, 8
- i Esr 2:40
- j Esr 3:9
- k 1Kr 25:7
- Esr 2:41
- l 1Kr 6:31, 39
- m Esr 2:42
- Ne 7:1
- n 1Kr 9:2, 17
- Ne 11:19
- Ne 12:25
- o Jos 9:3, 27
- 1Kr 9:2
- Esr 2:43-54
- Esr 2:58

ne van Rama en Geba:^a 621. **31** Die manne van Migmas:^b 122. **32** Die manne van Bet-El^c en Ai:^d 123. **33** Die manne van die ander Nebo: 52. **34** Die kinders van die ander Elam: 1254. **35** Die kinders van Harim: 320. **36** Die kinders van Je'rigo: 345. **37** Die kinders van Lod, Hadid en Ono:^e 721. **38** Die kinders van Se'naä: 3930.

39 Die priesters:^f die kinders van Jeda'ja, van die huis van Je'sua: 973. **40** Die kinders van Immer: 1052. **41** Die kinders van Pasgur:^g 1247. **42** Die kinders van Harim:^h 1017.

43 Die Leviete:ⁱ die kinders van Je'sua, van Kad'miël,^j van die kinders van Hode'wa: 74. **44** Die sangers:^k die kinders van Asaf:^l 148. **45** Die poortwagters:^m die kinders van Sallum, die kinders van Talmon, die kinders van Akkub,ⁿ die kinders van Hatti'ta, die kinders van Sobai: 138.

46 Die tempelknegte:^{*o} die kinders van Siha, die kinders van Hasufa, die kinders van Tab'baot, **47** die kinders van Keros, die kinders van Sia, die kinders van Padon, **48** die kinders van Leba'na, die kinders van Haga'ba, die kinders van Salmi, **49** die kinders van Hanan, die kinders van Giddel, die kinders van Gahar, **50** die kinders van Rea'ja, die kinders van Resin, die kinders van Neko'da, **51** die kinders van Gassam, die kinders van Ussa, die kinders van Pase'ag, **52** die kinders van Besai, die kinders van Meünim, die kinders van Nefu'sesim, **53** die kinders van Bakbuk, die kinders van Haku'fa, die kinders van Harhur, **54** die kinders van Baslit, die kinders van Mehi'da, die kinders van

7:46 *Of "Die Netinin". Lett. "Die gegewenes".

Harsa, **55** die kinders van Bar-kos, die kinders van Si'sera, die kinders van Temag, **56** die kinders van Nesi'ag, die kinders van Hati'fa.

57 Die kinders van die knegte van Salomo:^a die kinders van Sotai, die kinders van Sofe'ret, die kinders van Peri'da, **58** die kinders van Ja'ala, die kinders van Darkon, die kinders van Giddel, **59** die kinders van Sefat'ja, die kinders van Hattil, die kinders van Poge'ret-Hasseba'im, die kinders van Amon. **60** Al die tempelknegte^{*b} en die kinders van die knegte van Salomo was 392.

61 En hier volg 'n lys van die mense wat opgetrek het uit Tel-Melag, Tel-Harsa, Kerub, Ad-don en Immer, maar omdat hulle nie hulle vaderhuis en oorsprong kon bevestig nie, kon hulle nie bewys dat hulle Israe-liete is nie:^c **62** die kinders van Dela'ja, die kinders van Tob'i'a, die kinders van Neko'da: **642**. **63** En van die priesters: die kinders van Haba'ja, die kinders van Hakkos,^d die kinders van Barsil'lai,^e wat 'n vrou uit die dogters van Barsil'lai, die Gileadiet, geneem het en na hom ver-noem is. **64** Hulle het na hulle name in die registers gesoek om te bevestig van wie hulle af-stam, maar hulle name kon nie gevind word nie, en daarom is hulle nie toegelaat om as priesters te dien nie.^f **65** Die goe-werneur^{*g} het vir hulle gesê dat hulle nie van die besonder heilige dinge^h mag eet voordat 'n priester die saak met die Urim en Tummim kon bevestig nie.ⁱ

7:60, 73 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". **7:64** *Of "is hulle as on-rein uit die priesterskap uitgesluit". **7:65, 70** *Of "Die Tirsata", 'n Persiese titel vir 'n goewerneur van 'n provinsie.

HFST. 7

a Esr 2:55-58

Ne 11:3

b Jos 9:3, 27

Ne 3:26

c Esr 2:59-63

d 1Kr 24:3, 10

Ne 3:21

e 2Sa 17:27-29

2Sa 19:31

1Kn 2:7

f Nu 18:7

g Ne 8:9

Ne 10:1

h Le 2:3

Nu 18:8, 9

i Eks 28:30

1Sa 28:6

Tweede kol.

a Esr 2:64-67

b Le 25:44

c Eks 15:21

1Sa 18:6

d Esr 2:68, 69

e Le 6:10

f Ne 7:1

g Ne 11:20

h Le 23:24, 27

1Kn 8:2

Esr 3:1

i Esr 2:70

HFST. 8

j Ne 3:26

Ne 12:37

k Esr 7:6

l De 31:9

Jos 1:8

m Le 27:34

n Le 23:24

1Kn 8:2

o De 31:12

2Kr 17:8, 9

Mal 2:7

66 Daar was altesaam 42 360 in die gemeente,^a **67** maar dit het nie hulle 7 337 slawe en sla-vinne^b ingesluit nie. Daar was ook 245 sangers en sangeresse.^c **68** Hulle het 736 perde gehad, asook 245 muile, **69** 435 kamele en 6 720 donkies.

70 Party van die hoofde van die vaderhuise het bydraes gegee vir die werk.^d Die goewer-neur^{*} het 1 000 goue dragmas,^e 50 bakke en 530 stelle priesterlike klere tot die fonds^Δ bygedra.^e **71** En party van die hoofde van die vaderhuise het 20 000 goue dragmas en 2 200 silwerminas^{*} tot die fonds^Δ vir die projek bygedra. **72** Die res van die volk het 20 000 goue dragmas, 2 000 silwerminas en 67 stelle pries-terlike klere gegee.

73 Die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers,^f party van die volk, die tempelknegte^{*} en die res van Israel[#] het in hulle stede gaan woon.^g Teen die sewende maand^h het die Israe-liete reeds in hulle ste-de gewoon.ⁱ

8 Die hele volk het toe soos een man bymekaargekom op die openbare plein wat voor die Waterpoort^j was, en hulle het vir Esra^k die kopiis^{*} gesê om die boek van die Wet van Moses,^l wat Jehovah aan Israel gegee het, te bring.^m **2** Toe het die pries-ter Esra op die eerste dag van die sewende maandⁿ die Wet gebring voor die gemeente^o van mans, vrouens en almal wat kon luister en verstaan. **3** En hy het

7:70 [#]Oor die algemeen gelykgestel aan die Persiese goue dariek met 'n gewig van 8,4 g. Nie die dragma wat in die Griekse Geskrifte genoem word nie. Sien Aanb. B14. **7:70, 71** ^ΔOf "skat". **7:71** ^{*}n Mina in die He-breeuse Geskrifte was gelyk aan 570 g. Sien Aanb. B14. **7:73** [#]Lett. "die hele Israel". **8:1** ^{*}Of "oorskrywer".

van dagbreek af tot die middag toe voor die openbare plein wat voor die Waterpoort was, daaruit voorgelees^a vir die mans, die vrouens en almal wat kon verstaan, en die volk het aandagtig na die Wetboek geluister.^b **4** En Esra die kopiis* het op 'n houtverhoog gestaan wat vir die geleentheid gemaak is. Aan sy regterkant het Mattit'ja, Sema, Ana'ja, Uri'a, Hilki'a en Maäse'ja gestaan, en aan sy linkerkant het Peda'ja, Mi'sael, Malki'a,^c Hasum, Has-Badda'na, Sagari'a en Mesul'lam gestaan.

5 Die hele volk het gesien toe Esra die boek oopmaak, want hy het hoër as die hele volk gestaan. Toe hy dit ooggemaak het, het die hele volk opgestaan.

6 Daarna het Esra Jehovah, die ware God, die groot God, gelooft. Die hele volk het geantwoord: "Amen! Amen!"^{*d} en hulle het hulle hande opgelig. Toe het hulle op hulle knieë gegaan en met hulle gesigte na die grond toe voor Jehovah neergebuig. **7** En Je'sua, Bani, Sereb'ja,^e Jamin, Akkub, Sab'betai, Hodi'a, Maäse'ja, Keli'ta, Asar'ja, Jo'sabad,^f Hanan en Pella'ja, wat Leviëte was, het die Wet aan die volk verduidelik^g terwyl die volk bly staan het. **8** Hulle het bly voorlees uit die boek, uit die Wet van die ware God, en het mooi verduidelik wat dit beteken. Hulle het die volk dus gehelp om te verstaan wat voorgelees word.^{*h}

9 En Nehemi'a, wat toe die goewerneur^{*i} was, Esra,ⁱ wat 'n priester en kopiis* was, en die Leviëte wat die volk onderrig

8:4, 9, 13 *Of "oorskrywer". 8:6 *Of "Laat dit so wees! Laat dit so wees!" 8:8 *Of "Hulle het dus beteken aan die voorlesing gegee". 8:9 *Of "die Tirsata", 'n Persiese titel vir 'n goewerneur van 'n provinsie.

- HFST. 8
- a Han 13:15
Han 15:21
- b Han 16:14
Han 17:11
- c Ne 12:40, 42
- d De 27:26
- e Ne 9:4
- f Esr 8:33
Ne 11:16
- g De 33:8, 10
- h Lu 24:27
Han 8:30, 31
- i Esr 7:11

Tweede kol.

- a Le 23:24
- b Est 9:19
- c Ps 126:1-3
- d Ne 8:8
- e Le 23:34, 42
De 16:13, 16
Joh 7:2
- f Le 23:4

het, het vir die hele volk gesê: "Hierdie dag is heilig vir Jehovah julle God.^a Moenie treur of huil nie." Want die hele volk het gehuil toe hulle die woorde van die Wet hoor. **10** Hy het vir hulle gesê: "Gaan, eet die beste kos* en drink wat soet is, en stuur kos^b aan die mense wat niks het nie, want hierdie dag is heilig vir ons Here, en moenie hartseer wees nie, want die vreugde van Jehovah is julle vesting."[#] **11** En die Leviëte het die hele volk gekalmeer en gesê: "Moenie huil nie, want hierdie dag is heilig, en moenie hartseer wees nie." **12** Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en kos uit te stuur en fees te vier,^c want hulle het die woorde verstaan wat aan hulle bekend gemaak is.^d

13 En op die tweede dag het die hoofde van die vaderhuisse van die hele volk, die priesters en die Leviëte by Esra die kopiis* bymekaargekom om nog meer uit die woorde van die Wet te leer. **14** Toe het hulle gesien dat daar in die Wet wat Jehovah deur middel van Moses gegee het, geskryf is dat die Israëliëte gedurende die fees in die sewende maand in hutte* moet woon^e **15** en dat hulle in al hulle stede en in die hele Jerusalem die volgende aankondiging moet maak:^f "Gaan uit na die bergstreek en bring takke met blare van olyfbome, dennebome, mirtebome, palmbome en ander bome. Gebruik dit om hutte te maak, volgens wat geskryf is."

16 Die volk het dus uitgegaan en takke ingebring om vir hulle hutte te maak, elkeen op sy dak, sowel as in hulle binnehowe, in die voorhowe van die

8:10 *Lett. "die vettighede". #Of "krag". 8:14 *Of "tydelike skuilings".

huis van die ware God,^a op die openbare plein van die Waterpoort^b en op die openbare plein van die E'fraim-poort.^c **17** So het die hele gemeente van dié wat uit die gevangenskap teruggekome het, hutte gemaak en in die hutte gaan woon, want die Israeliete het dit nie op hierdie manier gedoen van die dae van Josua,^d die seun van Nun, af tot op daardie dag nie. Die hele volk het vreugdevol feesgevier.^e **18** En dag ná dag is daar uit die Wetboek van die ware God voorgelees,^f van die eerste dag tot die laaste dag. Hulle het die fees sewe dae lank gehou, en op die agtste dag was daar 'n heilige vergadering, soos die Wet vereis het.^g

9 Op die 24ste dag van hierdie maand het die Israeliete bymekaargekom. Hulle het gevas terwyl hulle saklinne aangehad het en daar stof op hulle was.^h **2** Dié van Israelitiese herkoms het hulle toe van al die uitlanders afgesonder,ⁱ en hulle het gestaan en hulle eie sondes sowel as die oortredings van hulle vaders bely.^j **3** Toe het hulle van hulle plek opgestaan en gedurende 'n kwart van die dag* uit die Wetboek^k van Jehovah hulle God voorgelees, en gedurende nog 'n kwart van die dag het hulle hulle sondes bely en voor Jehovah hulle God neergebuig.

4 Je'sua, Bani, Kad'miël, Seban'ja, Bunni, Sereb'ja, Bani en Kena'ni het op die verhoog^m van die Leviete gestaan, en hulle het met 'n harde stem tot Jehovah hulle God uitgeroep. **5** En die Leviete Je'sua, Kad'miël, Bani, Hasabne'ja, Sereb'ja, Hodi'a, Seban'ja en Petag'ja het gesê: "Staan op en loof Jehovah

9:3 *Of "drie uur lank".

HFST. 8

a 1Kn 6:36
1Kn 7:12
2Kr 4:9
2Kr 20:5

b Ne 3:26
Ne 8:1, 3

c 2Kn 14:13
Ne 12:38, 39

d Jos 1:1

e De 16:14, 15

f De 31:10-12

g Le 23:34, 36

HFST. 9

h Jos 7:6
Jon 3:5, 6

i Esr 9:1, 2
Ne 13:3

j Le 26:40
Esr 9:6
Ps 106:6
Da 9:8

k Ne 8:3, 8

l Ne 8:7

m Ne 8:4

Tweede kol.

a Jer 33:10, 11

b De 6:4

c Ge 12:1, 2

d Ge 11:31

e Ge 17:5

f Ge 22:10-12

g Ge 15:18

h Eks 2:23-25
Eks 3:7

i Eks 7:3
De 6:22

j Eks 5:2

k Eks 9:16

l Eks 14:21, 22

m Eks 15:1, 5, 10

n Eks 13:21
Eks 14:19, 20

julle God tot in alle ewigheid.*^a En laat hulle u glorieryke naam loof, wat groter is as al die seën en lof wat mense kan gee.

6 "U alleen is Jehovah,^b en u het die hemel gemaak, selfs die hoogste hemele en die hele leërmag daarvan, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is. En u hou dit alles aan die lewe, en die leërmag van die hemel buig voor u neer. **7** U is Jehovah, die ware God, wat Abram uitgekies het^c en hom uit Ur^d van die Galdeërs uitgelei het en hom die naam Abraham gegee het.^e **8** U het gesien dat sy hart getrou is voor u,^f en daarom het u 'n verbond met hom gemaak om die land van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete, die Perissiete, die Jebusiete en die Girgasiete aan hom en aan sy nakomelinge* te gee.^g En u het u belofte gehou omdat u regverdig is.

9 "U het gesien hoe ons voorvaders in Egipte swaargekry het,^h en u het hulle uitroep by die Rooisee gehoor. **10** Toe het u tekens en wonderwerke teen Farao en al sy knegte en die hele volk van sy land gedoen,ⁱ want u het gewet dat hulle u volk onderdruk* het.^j U het vir u 'n naam gemaak wat tot vandag toe onthou word.^k **11** U het die see voor hulle verdeel, sodat hulle op droë grond deur die see gegaan het,^l en u het hulle agtervolgers in die dieptes gegooi, soos 'n klip in onstuimige water gegooi word.^m **12** U het hulle gedurende die dag met 'n wolkkolom geleid, en gedurende die nag met 'n vuurkolom, om vir hulle die pad te verlig waarlangs hulle moes trek.ⁿ **13** En u het op

9:5 *Of "van ewigheid tot ewigheid".
9:8 *Lett. "saad".
9:10 *Of "dat hulle vermetel teen u volk opgetree".

die berg Si'nai neergedaal^a en uit die hemel met hulle gepraat^b en vir hulle regverdigde oordele, wette van waarheid,* goeie wetsvoorskrifte en gebooe gegee.^c **14** U het u heilige Sabbat aan hulle bekend gemaak,^d en u het vir hulle gebooe, wetsvoorskrifte en 'n wet deur middel van u kneg Moses gegee. **15** U het vir hulle brood uit die hemel gegee wanneer hulle honger was,^e en u het vir hulle water uit die groot rots gegee wanneer hulle dors was,^f en u het vir hulle gesê om in die land in te gaan wat u met 'n eed aan hulle belowe het* en om dit in besit te neem.

16 "Maar hulle, ons voorvaders, was vermetel*^g en hardkoppig,*^h en hulle wou nie na u gebooe luister nie. **17** Hulle het geweier om te luisterⁱ en het nie gedink aan u buitengewone daade wat u onder hulle gedoen het nie. Hulle het egter hardkoppig geword* en 'n leier aangestel sodat hulle weer slawe in Egipte kon word.^j Maar u is 'n God wat vryelik vergewe,^k wat medelye^l en genade betoon, wat nie gou kwaad word nie en wat vol lojale liefde^m is,^k en u het hulle nie verlaat nie.^l **18** Selfs toe hulle vir hulle 'n metaalbeeld van 'n kalf gemaak het en gesê het: 'Dit is julle God wat julle uit Egipte gelei het,'^m en hulle baie disrespekvol teenoor u opgetree het, **19** was u selfs in daardie tyd baie genadig teenoor hulle en het u hulle nie

9:13 *Of "betroubare wette". 9:15 *Lett. "[waaroor] u u hand opgelig het om aan hulle te gee". 9:16 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. #Lett. "het hulle nek verhard". 9:17 *Lett. "hulle nek verhard". #Of "'n God van daad van vergifnis". ^Sien Woordelys. #Of "liefderyke goedhartigheid".

HFST. 9
a Eks 19:11
b De 4:10, 36
c De 4:8
d Eks 16:29
Eks 20:8-11
De 5:12-14
e Eks 16:4
f Eks 17:6
g Nu 14:44
h De 9:6
i Nu 14:11, 41
j Nu 14:1, 4
k Eks 34:6
Nu 14:18
l De 4:31
m Eks 32:1, 4

Tweede kol.
a Nu 14:19, 20
b Eks 40:38
Nu 9:15
c Nu 11:17, 25
d Eks 16:14, 15
e Nu 20:8
f Eks 16:35
Nu 14:33
De 2:7
g De 29:5
h Jos 11:23
i Nu 21:23, 24
De 2:31
j Nu 21:26
k Nu 21:33, 35
l Ge 15:1, 5
m Ge 12:7
Ge 26:3
n Nu 14:29-31
Jos 21:43
o Jos 18:1
p De 3:4, 5
q De 8:7-9
r Jos 24:13

in die wildernis verlaat nie.^a Gedurende die dag was die wolkolom altyd daar om hulle op die pad te lei, en gedurende die nag was die vuurkolom altyd daar om die pad te verlig waarlangs hulle moes trek.^b **20** U het u goeie gees gegee om hulle insig te gee,^c en u het nie u manna van hulle teruggehou nie,^d en u het vir hulle water gegee wanneer hulle dors was.^e **21** En 40 jaar lank het u hulle in die wildernis van kos voorsien.^f Hulle het niks kortgekom nie. Hulle klere het nie stukkend geword nie,^g en hulle voete het nie geswel nie.

22 "U het koninkryke en volke aan hulle gegee en dit stuk vir stuk uitgedeel,^h sodat hulle die land van Sihon,ⁱ dit wil sê die land van die koning van Hesbon,^j sowel as die land van koning Og^k van Basan in besit geneem het. **23** U het hulle kinders so baie soos die sterre van die hemel gemaak.^l Toe het u hulle in die land ingebring wat hulle voorvaders volgens u belofte sou binnegaan en sou besit.^m **24** Hulle kinders het ingegaan en die land in besit geneem,ⁿ en u het die Kanaäniete,^o wat in die land gewoon het, voor hulle onderwerp. U het die konings en die volke van die land in hulle hand gegee, sodat die Israeliete met hulle kon doen net wat hulle wou. **25** Hulle het versterkte stede^p en 'n vrugbare* land^q ingeneem, en hulle het huise vol allerhande goeie dinge in besit geneem, reënputte wat reeds uitgegrawe was, wingerde, olyfboorde^r en 'n oorvloed vrugtebome. Hulle het geëet en het versadig en vet geword, en hulle het die dinge geniet wat u vir hulle uit u groot goedheid gegee het.

9:25 *Of "ryk".

26 “Maar hulle het ongehoorsaam geword en teen u in opstand gekom^a en hulle rug op u Wet gedraai.* Hulle het u profete doodgemaak wat hulle gewaarsku het om na u toe terug te keer, en hulle het baie disrespekvol teenoor u opgetree.^b **27** Daarom het u hulle in die hand van hulle teenstanders gegee,^c wat heelyd vir hulle moeilikheid veroorsaak het.^d Maar hulle het tot u uitgeroep wanneer hulle swaargekry het, en u het vanuit die hemel gehoor, en as gevolg van u groot genade het u vir hulle redders gegee om hulle uit die hand van hulle teenstanders te red.^e

28 “Maar sodra hulle verligting gehad het, het hulle weer gedoen wat sleg is voor u,^f en u het hulle in die hand gegee van hulle vyande, wat hulle oorheers* het.^g Dan het hulle teruggekeer en tot u om hulp geroep,^h en u het vanuit die hemel gehoor en hulle keer op keer gered as gevolg van u groot genade.ⁱ **29** U het hulle gewaarsku sodat hulle na u Wet kon terugkeer, maar hulle was vermetel* en het geweier om na u gebooe te luister,^j en hulle het gesondig teen u wetsvoorskrifte, wat lewe beteken vir die een wat dit gehoorsaam.^k Hulle het hulle rug op u gedraai en was hardkoppig,^l en hulle het geweier om te luister. **30** U was baie jare lank geduldig met hulle,^m en u het hulle bly waarsku deur u gees, deur middel van u profete, maar hulle het geweier om te luister. Uiteindelik het u hulle in die hand van die volke van die lande gegee.ⁿ **31** Maar in u groot genade het

9:26 *Lett. “en u Wet agter hulle rug gegooi”. 9:28 *Of “stukkend getrap”. 9:29 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. ^aLett. “het hulle nek verhard”.

HFST. 9

a De 32:20
De 32:15
Rig 2:12b 2Kn 21:11
Ps 106:38

c Rig 2:14

d De 31:17

e Rig 2:18
Rig 3:9, 15
1Sa 12:11
2Kn 13:4, 5

f Rig 2:19

g Rig 4:1, 2
Rig 6:1

h Rig 6:6

i Ps 106:43-45

j 2Kn 17:13, 14
2Kr 24:19

k Le 18:5

l Ro 10:21

m 2Kr 36:15, 16
Jes 42:24
Jer 40:2, 3

Tweede kol.

a Ese 14:22

b Eks 34:6
De 4:31c De 7:9
Da 9:4

d 2Kn 17:6

e 2Kn 24:12, 14

f Jer 34:18-20

g Klg 4:13, 14

h Da 9:5

i De 28:47
De 32:15j De 28:48
Esr 9:9k De 28:15, 33
Ne 5:4l 2Kn 23:3
2Kr 15:12
Esr 10:3

m Ne 10:28, 29

u hulle nie vernietig^a of verlaat nie, want u is 'n God wat medelye* en genade betoon.^b

32 “En nou, o ons God, die groot, magtige en ontsagwekkende God, wat sy verbond gehou het en lojale liefde betoon het,^c moenie al die teëspoed ligtelik opneem wat van die dae van die konings van Assirië^d af tot vandag toe oor ons, ons konings, ons leiers,^e ons priesters,^f ons profete,^g ons voorvaders en u hele volk gekom het nie. **33** U was regverdig in alles wat oor ons gekom het, want u het getrou gebly, maar ons het goddelose dinge gedoen.^h **34** Ons konings, ons leiers, ons priesters en ons voorvaders het nie u Wet gehoorsaam nie. Hulle het nie aandag geskenk aan u gebooe of aan u herinneringe* waarmee u hulle gewaarsku het nie.

35 Selfs toe hulle in hulle koninkryk was en die oorvloedige goeie dinge geniet het wat u hulle gegee het en hulle in die uitgestrekte en vrugbare* land was wat u aan hulle gegee het, het hulle u nie gedien nieⁱ en het hulle nie opgehou om slegte dinge te doen nie. **36** Daarom is ons vandag slawe^j – ja, slawe in die land wat u aan ons voorvaders gegee het en waarvan hulle die opbrengs en die goeie dinge kon eet. **37** Die oorvloedige opbrengs daarvan behoort nou aan die konings wat u as gevolg van ons sondes oor ons aangestel het.^k Hulle doen met ons en ons vee net wat hulle wil, en ons kry baie swaar.

38 “Op grond van dit alles maak ons 'n belofte^l wat ons op skrif stel, en dit word bevestig deur die seël van ons leiers, ons Leviete en ons priesters.”^m

9:31 *Sien Woordelys. 9:34 *Of “waarskuwings”. 9:35 *Of “ryk”.

10 Die persone wat dit bevestig het deur hulle seël daarop te sit,^a was:

Nehemi'a, die goewerneur,* die seun van Hagal'ja,

en Sedeki'a, **2** Sera'ja, Asar'ja, Jeremia, **3** Pasgur, Amar'ja, Malki'a, **4** Hattus, Seban'ja, Mallug, **5** Harim,^b Me'remot, Obad'ja, **6** Daniël,^c Gin'neton, Barug, **7** Mesul'lam, Abi'a, Mi-ja'min, **8** Maäs'ja, Bilgai en Sema'ja. Hulle is die priesters.

9 Ook die Leviete: Je'sua, die seun van Asan'ja, Bin'nuï van die seuns van He'nadad, Kad'miël^d

10 en hulle broers Seban'ja, Hodi'a, Keli'ta, Pela'ja, Hanan, **11** Miga, Rehob, Hasab'ja, **12** Sakkur, Sereb'ja,^e Seban'ja, **13** Hodi'a, Bani en Beni'nu.

14 Die hoofde van die volk: Paros, Pahat-Moab,^f Elam, Satu, Bani, **15** Bunni, Asgad, Bebai, **16** Ado'nia, Bigwai, Adin, **17** Ater, Hiski'a, Assur, **18** Hodi'a, Hasum, Besai, **19** Harif, A'natot, Nebai, **20** Magpi'as, Mesul'lam, Hesir, **21** Mesesabel, Sadok, Jad'dua, **22** Pelat'ja, Hanan, Ana'ja, **23** Hose'a, Hanan'ja, Hassub, **24** Hallo'hes, Pilha, Sobek, **25** Rehum, Hasab'na, Maäse'ja, **26** Ahi'a, Hanan, Anan, **27** Mallug, Harim en Baäna.

28 Die res van die volk het die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers en die tempelknegte* ingesluit, sowel as elkeen wat hom van die volke van die lande afgesonder het om die Wet van die ware God te volg,^g saam met hulle vrouens, hulle seuns en hulle dogters, almal wat kennis en begrip gehad het.^h **29** Hulle het

10:1 *Of "die Tirsata", 'n Persiese titel vir 'n goewerneur van 'n provinsie. **10:28** *Of "die Netinin". Lett. "die gewenesen". #Of moontlik "almal wat oud genoeg was om te verstaan".

HFST. 10
a Ne 9:38

b Esr 2:1, 39

c Esr 8:1, 2

d Esr 3:9
Ne 12:8

e Ne 12:24

f Ne 7:6, 11

g Ne 8:1
Ne 9:2

Tweede kol.

a Eks 34:15, 16
De 7:3, 4

b Eks 20:10

c Eks 12:16
Nu 29:1, 12

d Eks 23:10, 11
Le 25:4, 5

e De 15:1-3

f Eks 30:13

g Le 24:5-7

h Eks 29:40, 41

i Nu 28:9

j Nu 28:11-13
1Kr 23:31

k De 16:16

l Le 16:15

m Le 1:7
Le 6:12, 13

aangesluit by hulle broers, hulle belangrike manne, en hulle het hulleself onder 'n vloek en 'n eed geplaas. So het hulle belowe om te bly by die Wet van die ware God, wat deur middel van Moses, die kneg van die ware God, gegee is en om al die gebooië, oordele en wetsvoorskrifte van Jehovah ons Here noukeurig te gehoorsaam. **30** Ons sal nie ons dogters aan die volke van die land gee nie, en ons sal nie hulle dogters vir ons seuns neem nie.^a

31 As die volke van die land hulle handelsware en allerhande soorte graan inbring om op die Sabbatdag te verkoop, sal ons niks op die Sabbat^b of op 'n heilige dag^c by hulle koop nie. Ons sal ook in die sewende jaar^d nie die grond bewerk nie, en ons sal enige uitstaande skuld kanselleer.^e

32 Ons het onself ook verplig om elke jaar 'n derde van 'n sikkel* te gee vir die diens van die huis^f van ons God,^f **33** vir die stapelbrode,^g vir die gereelde graanoffer,^h vir die gereelde brandoffer van die Sabbatteⁱ en die nuwemane^j en vir die vasgestelde feeste,^k vir die heilige dinge, vir die sonde-offers^l om vir Israel versoening te doen en vir al die werk van die huis van ons God.

34 Ons het ook die lot gewerp om te bepaal op watter vasgestelde tye van die jaar elke familie van die priesters, die Leviete en die volk hout na die huis van ons God moet bring sodat dit op die altaar van Jehovah ons God gebrand kan word, volgens wat in die Wet geskryf is.^m **35** Ons sal ook die eerste opbrengs van ons

10:32 *'n Sikkel was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14. #Of "tempel". **10:33** *D.w.s. die offerbrode.

land en die eerste ryp vrugte van elke soort vrugteboom jaar ná jaar na die huis van Jehovah bring,^a **36** sowel as die eersgeborenes van ons seuns en ons vee^b – volgens wat in die Wet geskryf is – en die eersgeborenes van ons beeste en ons kleinvee. Ons sal hulle na die huis van ons God bring, na die priesters wat in die huis van ons God dien.^c **37** Ons sal ook die eerste* van ons growwe meel,^d ons bydraes, die vrugte van elke soort boom,^e nuwe wyn en olie^f na die priesters bring, na die stoorkamers^g van die huis van ons God.^g Ons sal ook die tiende van ons land na die Leviete bring,^h want dit is die Leviete wat die tiendes in al ons landbousteede insamel.

38 En die priester, die seun van Aäron, moet by die Leviete wees wanneer die Leviete die tiende insamel, en die Leviete moet 'n tiende van die tiende na die huis van ons God bring,ⁱ na die kamers^g van die pakhuis. **39** Want die Israeliete en die kinders van die Leviete moet die bydrae^j van die graan, die nuwe wyn en die olie^k na die stoorkamers^g bring, en dit is waar die voorwerpe van die heiligdom is, sowel as die priesters wat diens doen, die poortwagters en die sangers. Ons sal nie die huis van ons God verwaarloos nie.^l

11 Die leiers van die volk het in Jerusalem gewoon,^m maar die res van die volk het die lot gewerpⁿ om een uit elke tien in te bring om in Jerusalem, die heilige stad, te woon, terwyl die ander nege in ander stede gewoon het. **2** En die volk het al die manne geseën wat vrywillig aangebied het om in Jerusalem te woon.

10:37 *Of "die eersteling". Sien Woordeboek. 10:37-39 *Of "eetsale".

HFST. 10

a Eks 23:19
Nu 18:8, 13
De 26:2

b Eks 13:2
Nu 18:15

c Nu 18:8, 11
1Kor 9:13

d Nu 15:20

e Le 27:30

f Nu 18:8, 12
De 18:1, 4

g 2Kr 31:11

h Nu 18:21

i Nu 18:26

j De 12:5, 6

k De 14:23

l Ne 13:10, 11

HFST. 11

m Ne 7:4

n Spr 16:33

Tweede kol.

a Jos 9:3, 27
Esr 8:17

b Esr 2:58

c Esr 2:70

d Nu 26:20

e 1Kr 9:3, 7

f 1Kr 9:10-13

g 1Kr 6:12

3 En hier volg die name van die hoofde van die provinsie* wat in Jerusalem gewoon het. (Die res van Israel, die priesters, die Leviete, die tempelknege^{aa} en die seuns van die knegte van Salomo^b het in die ander stede van Juda gewoon, elkeen op sy eie grond in sy eie stad.^c

4 Party van die mense van Juda en van Benjamin het ook in Jerusalem gewoon.) Van die mense van Juda was Ata'ja, die seun van Ussi'a, die seun van Sagari'a, die seun van Amar'ja, die seun van Sefat'ja, die seun van Mahala'lel van die seuns van Peres^d **5** en Maäse'ja, die seun van Barug, die seun van Kolhose', die seun van Hasa'ja, die seun van Ada'ja, die seun van Joja'rib, die seun van Sagari'a, die seun van die Selaniet. **6** Al die seuns van Peres wat in Jerusalem gewoon het, was 468 bekwame manne.

7 En hier volg die name van die mense van Benjamin: Sallu,^e die seun van Mesul'lam, die seun van Joëd, die seun van Peda'ja, die seun van Kola'ja, die seun van Maäse'ja, die seun van I'tiël, die seun van Jesaja **8** en ná hom Gabbai en Sallai, 928. **9** Joël, die seun van Sigri, was hulle opsiener, en Juda, die seun van Hassenu'a, was die onderopsiener van die stad.

10 Van die priesters was daar Jeda'ja, die seun van Joja'rib, Jagin,^f **11** Sera'ja, die seun van Hilki'a, die seun van Mesul'lam, die seun van Sadok, die seun van Me'rajot, die seun van Ahi'tub,^g 'n leier van die huis* van die ware God, **12** en hulle broers wat die werk in die tempel gedoen het, 822. Ada'ja, die seun van Jero'ham, die

11:3 *Of "regsgebied". ^{aa}Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes". 11:11 *Of "tempel".

seun van Pelal'ja, die seun van Amsi, die seun van Sagari'a, die seun van Pasgur,^a die seun van Malki'a, **13** en sy broers, hoofde van vaderhuise, 242. Amas'sai, die seun van Asa'reël, die seun van Agsai, die seun van Mesil'lemot, die seun van Immer **14** en hulle broers wat sterk, dapper manne was, 128. Hulle opsiener was Sab'diël, 'n lid van 'n vooraanstaande familie.

15 Van die Leviete was daar Sema'ja,^b die seun van Hasub, die seun van Asri'kam, die seun van Hasab'ja, die seun van Bunni **16** en Sab'betai^c en Jo'sabad,^d van die hoofde van die Leviete, wat in beheer was oor die sake buite die huis van die ware God, **17** en Mattan'ja,^e die seun van Miga, die seun van Sabdi, die seun van Asaf,^f die leier van die sangers, wat die lofprysing gedurende die gebed gelei het,^g en Bakkuk'ja, die tweede onder sy broers, en Abda, die seun van Sam'mua, die seun van Galal, die seun van Jedu'tun.^h **18** Al die Leviete in die heilige stad was 284.

19 Die poortwagters was Akkub, Talmonⁱ en hulle broers wat wag gehou het in die poorte, 172.

20 Die res van Israel, die priesters en die Leviete was in al die ander stede van Juda, elkeen in die eiendom wat hy geërf het.* **21** Die tempelknegte^j het in Ofel gewoon,^k en Siha en Gispa het toesig gehou oor die tempelknegte.*

22 Die opsiener van die Leviete in Jerusalem was Ussi, die seun van Bani, die seun van Hasab'ja, die seun van Mattan'ja,^l die seun van Miga, van die seuns van Asaf, die sangers.

11:20 *Of "sy eie erfdeel". 11:21 *Of "die Netinim". Lett. "die gegewenes".

- HFST. 11
 a Jer 21:1, 2
 Jer 38:1
 b 1Kr 9:2, 14
 c Esr 10:14, 15
 d Esr 8:33
 Ne 8:7
 e Ne 11:22
 Ne 12:25
 f Ne 7:6, 44
 g 1Kr 16:4,
 2Kr 5:13
 h 1Kr 16:41, 42
 2Kr 35:15
 i 1Kr 9:2, 17
 Esr 2:1, 42
 Ne 12:25
 j Esr 2:1, 58
 k 2Kr 27:1, 3
 Ne 3:26
 l 1Kr 9:2, 15

Tweede kol.

- a Esr 6:3, 9
 Esr 7:21-24
 b Ge 23:2
 Jos 14:15
 c Jos 15:21
 2Sa 23:20
 d Jos 15:21, 26
 Jos 19:1, 2
 e Jos 15:21, 27
 f Jos 19:1, 3
 g Jos 15:21, 31
 Jos 19:1, 5
 1Sa 27:5, 6
 h Jos 15:21, 32
 i Jos 15:20, 33
 Jos 19:40, 41
 j Jos 15:20, 34
 Ne 3:13
 k Jos 15:20, 39
 Jes 37:8
 l Jos 15:20, 35
 m Jos 15:8, 12
 2Kn 23:10
 n Jos 18:21, 24
 o Ge 28:19
 Jos 18:11, 13
 p Jos 21:8, 18
 q 1Sa 21:1
 r Jos 18:21, 25
 s 1Kr 8:12
 Esr 2:1, 33

HFST. 12

- t Esr 1:8, 11
 u Mt 1:12
 v Sag 3:1

Ussi het toesig gehou oor die werk in die huis van die ware God. **23** Want daar was 'n bevel van die koning wat ingesluit het dat daar 'n vaste reëling moet wees om die sangers elke dag te gee wat hulle nodig het.^a **24** En Petag'ja, die seun van Mesesa'bel, van die seuns van Serag, die seun van Juda, was die koning se raadgewer* vir al die sake van die volk.

25 Wat die woonplekke en hulle velde betref, party van die mense van Juda het in Kirjat-Arba^b en sy afhanklike* dorpe gewoon, in Dibon en sy afhanklike dorpe, in Jekab'seël^c en sy dorpies, **26** in Je'sua, in Mo'lada,^d in Bet-Pelet,^e **27** in Hasar-Sual,^f in Berse'ba en sy afhanklike* dorpe, **28** in Siklag,^g in Mego'na en sy afhanklike* dorpe, **29** in En-Rimmon,^h in Soraⁱ en in Jarmut, **30** in Sano'ag,^j in Adul'lam en hulle dorpies, in Lagis^k en sy velde en in Ase'ka^l en sy afhanklike* dorpe. Hulle het van Berse'ba af tot by die Hinnom-vallei^m gaan woon.*

31 En die mense van Benjamin was in Geba,ⁿ Migmas, Aja, Bet-El^o en sy afhanklike* dorpe, **32** A'natot,^p Nob,^q Anan'ja, **33** Hasor, Rama,^r Gitta'im, **34** Hadid, Sebo'im, Nebal'lat, **35** Lod en Ono,^s die vallei van die ambagsmanne. **36** En party afdelings van die Leviete van Juda is aangewys om in die gebied van Benjamin te gaan woon.

12 Hier volg die name van die priesters en die Leviete wat saam met Serubba'bel,^t die seun van Seal'tiël,^u en Je'sua^v gegaan het: Sera'ja, Jeremia, Esra, **2** Amar'ja, Mallug, Hattus, **3** Segan'ja, Rehum,

11:24 *Lett. "was aan die koning se hand". 11:25, 27, 28, 30, 31 *Of "omliggende". 11:30 *Of "kamp opgeslaan".

Me'remot, **4** Iddo, Gin'netoi, Abi'a, **5** Mija'min, Maäd'ja, Bilga, **6** Sema'ja, Joja'rib, Jeda'ja, **7** Sallu, Amok, Hilki'a en Jeda'ja. Dit was die hoofde van die priesters en hulle broers in Je'sua se tyd.

8 Die Leviete was Je'sua, Bin'nuï, Kad'miël,^a Sereb'ja, Juda en Mattan'ja,^b wat saam met sy broers die leiding geneem het wanneer dankliedere gesing is. **9** En Bakbuk'ja en Unni hulle broers het oorkant hulle gestaan om wagdiens te doen.* **10** Je'sua het die vader van Joja'kim geword, en Joja'kim het die vader van Elja'sib^c geword, en Elja'sib het die vader van Joja'da^d geword. **11** En Joja'da het die vader van Jo'natan geword, en Jo'natan het die vader van Jad'dua geword.

12 In Joja'kim se tyd was die volgende manne die priesters, die hoofde van die vaderhuisse: Mera'ja van die familie van Sera'ja,^e Hanan'ja van Jeremia, **13** Mesul'lam van Esra,^f Joha'natan van Amar'ja, **14** Jo'natan van Mallu'gi, Josef van Seban'ja, **15** Adna van Harim,^g Helkai van Me'rajot, **16** Sagar'i'a van Iddo, Mesul'lam van Gin'neton, **17** Sigri van Abi'a,^h . . . * van Min'jamin, Piltai van Moad'ja, **18** Sam'mua van Bilga,ⁱ Jo'natan van Sema'ja, **19** Mat'tenai van Joja'rib, Ussi van Jeda'ja,^j **20** Kallai van Sallai, Eber van Amok, **21** Hasab'ja van Hilki'a, Neta'nel van Jeda'ja.

22 Die name van die hoofde van die vaderhuisse van die Leviete en die name van die priesters is opgeteken in die tyd van Elja'sib, Joja'da, Joha'natan en Jad'dua,^k dit wil sê tot die koningskap van Darius die Pers.

12:9 *Of moontlik "gedurende die diens". **12:17** *Die Hebreuse teks laat blykbaar 'n naam hier weg.

HFST. 12

a Esr 2:1, 40
Esr 3:9

b 1Kr 9:2, 15
Ne 11:17
Ne 12:25

c Ne 3:1

d Ne 13:28

e Ne 11:3, 11

f Ne 12:1

g Esr 2:1, 39

h Ne 12:1, 4

i Ne 12:1, 5

j Ne 12:1, 6

k Ne 12:10, 11

Tweede kol.

a Ne 8:7

b Esr 2:1, 40

c 1Kr 16:4
1Kr 23:28, 30

d 1Kr 9:2, 15

e 1Kr 9:17
Esr 2:1, 42
Ne 11:1, 19

f 1Kr 9:22-27

g Esr 3:2, 8

h Esr 7:1, 6

i 2Kr 5:13
2Kr 7:6

j 1Kr 2:54
1Kr 9:2, 16
Ne 7:6, 26

k Jos 15:7, 12

l Jos 21:8, 17
Ne 11:31

m Esr 2:1, 24

n Ne 7:1

o Ne 6:15

p Eks 19:10

23 Die name van die Leviete wat die hoofde van die vaderhuisse was, is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae, tot die dae van Joha'natan, die seun van Elja'sib. **24** Die hoofde van die Leviete was Hasab'ja, Sereb'ja en Je'sua,^a die seun van Kad'miël.^b Hulle broers het oorkant hulle gestaan om God te loof en te dank volgens die instruksies van Dawid,^c die man van die ware God, waggroep langs waggroep. **25** Mattan'ja,^d Bakbuk'ja, Obad'ja, Mesul'lam, Talmon en Akkub^e was poortwagters.^f Hulle het by die stoorkamers naby die poorte wag gehou. **26** Hulle het gedien in die tyd van Joja'kim, die seun van Je'sua,^g die seun van Jo'sadak, en in die dae van Nehemi'a, die goewerneur, en Esra,^h die priester en kopiis.*

27 By die inwyding van die mure van Jerusalem het hulle na die Leviete gesoek en hulle uit al die plekke waar hulle gebly het, na Jerusalem gebring om die inwyding met blydskap, met dankliedereⁱ en met simbole, snaarinstrumente en harpe te vier. **28** Die seuns van die sangers* het bymekaargekom uit die distrik,^u uit die omgewing rondom Jerusalem, uit die dorpie van die Netofatiete,^j **29** uit Bet-Gilgal^k en uit die velde van Geba^l en Asma'wet,^m want die sangers het vir hulle dorpie rondom Jerusalem gebou. **30** En die priesters en die Leviete het hulleself gereinig, en hulle het die volk, die poorteⁿ en die muur^o gereinig.^p

31 Toe het ek die leiers van Juda op die muur laat klim.

12:26 *Of "oorskrywer". **12:28** *Of "En die opgeleide sangers". ^dW.s. die distrik rondom die Jordaandrivier.

Ek het ook twee groot kore opgestel wat dankliedere gesing het, en elke koor is deur 'n groep mense gevolg. Die een groep het na regs op die muur na die Aspoort^a geloop. **32** Hosa'ja en die helfte van die leiers van Juda het agter hulle geloop, **33** saam met Asar'ja, Esra, Mesul'lam, **34** Juda, Benjamin, Sema'ja en Jeremia. **35** By hulle was party van die seuns van die priesters met die trompette:^b Sagar'i'a, die seun van Jo'natan, die seun van Sema'ja, die seun van Mattan'ja, die seun van Miga'ja, die seun van Sakkur, die seun van Asaf^c **36** en sy broers Sema'ja, Asa'reël, Mi'lalai, Gi'lalai, Maäi, Neta'nel, Juda en Hana'ni, met die musiekinstrumente van Dawid,^d die man van die ware God. En Esra,^e die kopiis,^{*} het voor hulle geloop. **37** By die Fonteinpoort^f het hulle reguit gegaan, op teen die Trap^g van die Stad van Dawid^h waar die muur opgaan bokant die Huis van Dawid, en hulle het verder gegaan tot by die Waterpoortⁱ aan die oostekant.

38 Die ander koor wat dankliedere gesing het, het in die teenoorgestelde rigting* geloop, en ek en die helfte van die volk het hulle gevolg op die muur verby die Oondtoring^j en tot by die Breë Muur^k **39** en oor die E'fraim-poort^l en tot by die Poort van die Ou Stad^m en tot by die Vispoort,ⁿ die Hana'nel-toring,^o die Mea-toring en tot by die Skaappoort,^p en hulle het by die Wagpoort gaan stilstaan.

40 Uiteindelik het die twee kore wat dankliedere gesing het, voor die huis van die ware God gaan staan. Ek en die helf-

12:36 *Of "oorskrywer". 12:38 *Of "het voor".

HFST. 12

- a Ne 2:13
Ne 3:13
- b Nu 10:2
2Kr 5:12
- c 1Kr 25:1, 2
- d 1Kr 23:5
- e Ne 8:4
- f Ne 2:14
- g Ne 3:15
- h 2Sa 5:7, 9
- i Ne 3:26
Ne 8:1
- j Ne 3:11
- k Ne 3:8
- l 2Kn 14:13
Ne 8:16
- m Ne 3:6
- n 2Kr 33:14
Ne 3:3
- o Jer 31:38
Sag 14:10
- p Ne 3:1
Joh 5:2

Tweede kol.

- a Esr 6:16, 17
- b Jer 31:13
- c Esr 3:10, 13
- d 2Kr 31:11
- e Ne 10:39
- f Ne 10:35-37
- g Ne 10:38
Ne 13:12, 13
- h Nu 18:21
- i Eks 34:26
Nu 15:18, 19
De 26:2
- j 1Kr 25:1, 6
- k Esr 3:2
Hag 1:12
Lu 3:23, 27
- l Ne 11:23
- m Ne 10:39
- n Nu 18:21

te van die amptenare by my het ook daar gaan staan, **41** sowel as die priesters Elja'kim, Maäse'ja, Min'jamin, Miga'ja, Eljoënai, Sagari'a en Hanan'ja, met die trompette, **42** en Maäse'ja, Sema'ja, Elea'sar, Ussi, Joha'nannan, Malki'a, Elam en Eser. En die sangers het hard gesing onder die toesig van Jisrag'ja.

43 Op daardie dag het hulle groot offerandes gebring en was hulle vrolik,^a want die ware God het hulle baie vreugdevol gemaak. Die vrouens en die kinders was ook vrolik,^b en die blydschap van Jerusalem kon van ver af gehoor word.^c

44 Op daardie dag is manne aangestel oor die stoorkamers^d vir die bydraes,^e die eerste opbrengs^{*f} en die tiendes.^g Hulle moes die dele van die landerye van die stede wat die priesters en die Leviete^h volgens die Wetⁱ moes ontvang, daarin bymeekaarmaak, want daar was blydschap in Juda omdat daar priesters en Leviete was wat diens gedoen het. **45** En die priesters en die Leviete het die pligte teenoor hulle God en die pligte in verband met die reiniging begin nakom. Die sangers en die poortwagters het ook die instruksies van Dawid en sy seun Salomo gevolg. **46** Want lank gelede, in die tyd van Dawid en Asaf, was daar leiers* vir die sangers en vir die sing van lofliedere en dankliedere aan God.^j **47** En in Serubba'bel^k se tyd en in Nehemi'a se tyd het die hele Israel vir die sangers^l en die poortwagters^m gegee wat hulle elke dag nodig gehad het. Hulle het ook 'n deel vir die Leviete opsygesit,ⁿ en die Leviete het 'n deel vir die nakomelinge van Aäron opsygesit.

12:44 *Of "die eerstelinge". Sien Woordelys. 12:46 *Lett. "hoofde".

13 Op daardie dag is die boek van Moses in die teenwoordigheid van die volk gelees,^a en dit het gesê dat geen Ammoniet of Moabiet^b ooit in die gemeente van die ware God mag ingaan nie,^c **2** want hulle het nie vir die Israeliete brood en water gegee nie. Hulle het eerder vir Bi'leam gehuur om 'n vloek oor hulle uit te spreek.^d Maar ons God het die vloek in 'n seën verander.^e **3** Toe hulle hoor wat die Wet sê, het hulle begin om al die uitlanders* van die Israeliete te skei.^f

4 Voordat dit gebeur het, het die priester Elja'sib,^g 'n familielid van Tobî'a,^h toesig gehou oor die stoorkamers* van die huis^o van ons God.ⁱ **5** Hy het vir Tobî'a 'n groot stoorkamer* ingerig. Die graanoffer, die wierook en die voorwerpe vir die tempeldiens was voorheen daarin gestoor, asook die tiendes van die graan, die nuwe wyn en die olie,^j waarop die Leviete,^k die sangers en die poortwagters geregtig was, sowel as die bydrae vir die priesters.^l

6 En gedurende hierdie hele tyd was ek nie in Jerusalem nie, want ek het in die 32ste jaar^m van koning Artasas'taⁿ van Babilon na die koning toe gegaan, en 'n ruk later het ek verlof van die koning gevra. **7** Toe het ek na Jerusalem gekom en gesien watter verskriklike ding Elja'sib^o gedoen het deur vir Tobî'a^p 'n stoorkamer in die voorhof van die huis van die ware God in te rig. **8** Ek was baie ontevrede hieroor, en ek het al Tobî'a se besittings uit die stoorkamer* uitgegooi. **9** Daarna het ek beveel dat hulle die stoorkamers* moet reinig, en ek het die voor-

HFST. 13

- a De 31:11
Ne 8:2, 3
Han 15:21
b Ge 19:36-38
c De 23:3, 6
d Nu 22:4-6
e Nu 23:8
Nu 24:10
f Esr 10:10, 11
Ne 9:1, 2
g Ne 3:1
h Ne 2:10
i Ne 10:37, 38
j De 18:3, 4
k Nu 18:24
l Ne 12:44
m Ne 5:14
n Esr 7:1
Ne 2:1
o Ne 12:10
p Ne 4:7

Tweede kol.

- a Ne 10:39
b Le 2:14, 15
c Ne 10:37
Ne 12:47
d Mal 3:8
e Nu 35:2
f Esr 9:2
g Ne 10:39
h Le 27:30
Nu 18:21
i Ne 10:38, 39
Mal 3:10
j Ne 5:19
k Heb 6:10

- l Eks 20:10
Eks 34:21
Eks 35:2
m Jer 17:21, 27

werpe van die huis van die ware God^a teruggesit, saam met die graanoffer en die wierook.^b

10 Ek het ook uitgevind dat die Leviete^c se porsies nie aan hulle gegee is nie,^d en daarom het die Leviete en die sangers wat die werk gedoen het, weggegaan, elkeen na sy eie stuk grond.^e **11** Ek het die aptenare dus tereggewys^f en gevra: "Hoekom is die huis van die ware God verwaarloos?"^g Toe het ek hulle bymekaar laat kom en hulle teruggestuur na hulle poste toe. **12** En die hele Juda het die tiendes^h van die graan, die nuwe wyn en die olie na die stoorkamers gebring.ⁱ **13** Toe het ek Selem'ja, die priester, Sadok, die kopiis,* en Peda'ja, van die Leviete, oor die stoorkamers aangestel, en Hanan, die seun van Sakkur, die seun van Mattan'ja, was hulle assistent, want hulle is as betroubare manne beskou. Dit was hulle verantwoordelikheid om die porsies aan hulle broers uit te deel.

14 Dink tog aan my,^j o my God, en moenie my dade van lojale liefde vergeet wat ek gedoen het vir die huis van my God en vir die persone wat die dienste daar verrig het nie.^k

15 In daardie dae het ek gesien dat mense in Juda op die Sabbat^l wynperse trap en graanhope inbring en dit op donkies laai, en hulle het wyn, druiwe en vye en allerhande vrage op die Sabbatdag in Jerusalem inbring.^m Ek het hulle dus gewaarsku dat hulle nie op daardie dag kos moet verkoop nie.* **16** Die Tiriërs wat in die stad gewoon het, het vis

13:3 *Of "dié van gemengde afkoms".
13:4, 9 *Of "eetsale". 13:4 #Of "tempel".
13:5, 8 *Of "eetsaal".

13:13 *Of "oorskrywer". 13:14 *Of "en vir die bewaking daarvan nie".
13:15 *Of moontlik "op daardie dag gewaarsku om nie kos te verkoop nie".

en allerhande handelsware in-gebring en dit op die Sabbat aan die mense van Juda en in Jerusalem verkoop.^a **17** Daarom het ek die leiers van Juda tereggewys en vir hulle gesê: “Wat is hierdie slegte ding wat julle doen, deur selfs die Sabbatdag te onheilig? **18** Is dit nie wat julle voorvaders gedoen het nie, en is dit nie hoekom ons God al hierdie rampe oor ons en ook oor hierdie stad gebring het nie? Nou maak julle God nog kwater vir Israel deur die Sabbat te onheilig.”^b

19 Ek het beveel dat die poorte van Jerusalem toegemaak moet word voordat dit donker word, dit wil sê voordat die Sabbat begin. Ek het ook gesê dat hulle dit eers ná die Sabbat mag oopmaak, en ek het van my eie dienaars by die poorte geplaas sodat geen vragte op die Sabbatdag ingebring sou word nie. **20** Daarom het die handelaars en die verkopers van allerhande handelsware een of twee keer buite Jerusalem oornag. **21** Toe het ek hulle gewaarsku en vir hulle gesê: “Hoekom oornag julle voor die muur? As julle dit weer doen, gaan ek julle met geweld hier verwyder.” Van toe af het hulle nie op die Sabbat gekom nie.

22 Ek het vir die Leviete gesê dat hulle hulle gereeld moet reinig en die poorte moet kom bewaak om die Sabbatdag heilig te hou.^c O my God, dink tog aan my en seën my ook hiervoor, en betoon genade aan my, want u is vol lojale liefde.^d

23 In daardie dae het ek ook gesien dat Jode met Asdodiese,^e Ammonitiese en Moabitiese/ vrouens getrou het.*^g **24** Die

13:23 *Of “dat Jode . . . in hulle huise geneem het”.

- HFST. 13
- a Ne 10:31
- b Eks 20:8-10
- c De 5:12
- d Ne 5:19
Ne 13:14
Ne 13:30, 31
- e Jos 13:2, 3
- f De 23:3, 4
- g Esr 9:1, 2
Esr 10:10
2Kor 6:14

Tweede kol.

- a De 25:2
Esr 7:26
- b De 7:3, 4
Ne 10:30
- c 1Kn 3:12, 13
2Kr 9:22
- d 2Sa 12:24
- e 1Kn 11:1-5
- f Esr 10:2
- g Ne 12:10
- h Ne 3:1
Ne 13:4
- i Ne 2:10
Ne 6:14
- j Eks 40:15
Nu 25:11-13
- k Mal 2:4
- l 1Kr 23:6
1Kr 25:1
- m Ne 10:34
- n Ne 5:19

helfte van hulle kinders het Asdodies gepraat en die helfte het die tale van die verskillende volke gepraat, maar nie een van hulle kon die taal van die Jode praat nie. **25** Daarom het ek hulle tereggewys en 'n vloek oor hulle uitgespreek en party van die manne geslaan^a en hulle hare uitgetrek en hulle by God laat sweer: “Julle mag nie julle dogters aan hulle seuns gee nie, en julle mag nie een van hulle dogters vir julle seuns of vir julle self aanvaar nie.^b **26** Was dit nie weens hulle dat koning Salomo van Israel gesondig het nie? Daar was geen koning soos hy onder die baie nasies nie,^c en sy God was lief vir hom,^d en daarom het God hom koning oor die hele Israel gemaak. Maar die uitlandse vrouens het selfs hom laat sondig.^e **27** Hoe kon julle selfs daaraan dink om hierdie groot sonde te pleeg deur ontrou teen ons God op te tree en met uitlandse vrouens te trou?”^f

28 Een van die seuns van Joja'da,^g die seun van die hoëpriester Elja'sib,^h het 'n skoonseun van Sanbal'latⁱ die Horoniet geword. Daarom het ek hom van my af weggejaag.

29 O my God, moenie vergeet dat hulle die priesterskap en die verbond van die priesterskap^j en die Leviete^k onrein gemaak het nie.

30 En ek het hulle gereinig deur hulle te bevry van elke slegte invloed van die uitlanders, en ek het pligte aan die priesters en aan die Leviete toegewys, elkeen in sy eie diens,^l

31 en ek het ook gereël dat daar hout^m op vasgestelde tye moet wees en dat die eerste opbrengste gebring moet word.

O my God, dink tog aan myⁿ en seën my.

ESTER

OORSIG

- 1 Koning Ahasveros se fees in Susan (1-9)
Koningin Vasti weier om gehoorsaam te wees (10-12)
Koning raadpleeg wyse manne (13-20)
Koning se bevel uitgestuur (21, 22)
- 2 Soektog na nuwe koningin (1-14)
Ester word koningin (15-20)
Mordegai waarsku koning teen komplot (21-23)
- 3 Koning gee Haman hoë posisie (1-4)
Haman beplan om Jode te vernietig (5-15)
- 4 Mordegai treur (1-5)
Mordegai vra Ester se hulp (6-17)
- 5 Ester verskyn voor koning (1-8)
Haman woedend en verwaand (9-14)
- 6 Mordegai deur koning vereer (1-14)
- 7 Ester maak Haman se plan bekend (1-6a)
Haman gehang aan paal wat hy gemaak het (6b-10)
- 8 Mordegai bevorder (1, 2)
Ester smEEK koning (3-6)
Koning se tweede bevel (7-14)
Verligting en vreugde vir Jode (15-17)
- 9 Oorwinning van Jode (1-19)
Die fees Purim ingestel (20-32)
- 10 Mordegai bekend en magtig (1-3)

1 In die tyd van Ahas'veros,* die Ahas'veros wat oor 127 provinsies^a van Indië tot Etiopië^Δ regeer het, **2** toe hy in die paleis* Susan^b op sy koninklike troon gesit het, **3** in sy derde jaar as koning, het hy 'n feesmaal gehou vir al sy hoë amptenare en sy knegte. Die leërmag van Persië^c en Medië,^d die leiers en die heersers van die provinsies^e het na die feesmaal toe gekom. **4** Ahas'veros het baie dae lank, 180 dae lank, sy rykdom en sy glorieryke koninkryk en die eer en die prag van sy grootheid vir hulle gewys. **5** En toe hierdie dae verby was, het die koning in die voorhof van die tuin van die paleis* Susan^f vir almal in die paleis, van die grootste

1:1 *Daar word gemeen dat dit Xerxes I, seun van Darius die Grote (Darius Hystaspis) is. 1:1, 3 *Of "regsgebiede". 1:1 ^ΔOf "Kus". 1:2, 5 *Of "vesting". 1:2, 5 ^ΔOf "Susa".

HFST. 1

a Est 8:9
Da 6:1

b Esr 4:9
Ne 1:1
Da 8:2

c Esr 1:2

d Jes 21:2
Jer 51:11
Da 5:28

Tweede kol.

a Est 1:12
Est 2:1, 17

tot die kleinste, 'n feesmaal van sewe dae gehou. **6** Daar was linne, fyn katoen, blou materiaal wat vasgemaak is met toue van goeie materiaal, pers wol in silwerringe, marmerpilare en banke van goud en silwer wat op 'n plaveisel van porfier, marmar, perlemoen en swart marmar gestaan het.

7 Wyn is in goue bekere* bedien, en elke beker was anders. Daar was koninklike wyn in oorfloed, soos net die koning kon voorsien. **8** By daardie geleentheid was die reël dat niemand gedwing* moes word om te drink nie, want die koning het vir die amptenare van sy paleis gesê dat elkeen kon doen wat hy wou.

9 Koningin Vasti^g het ook vir die vrouens 'n feesmaal by die paleis* van koning Ahas'veros gehou.

1:7 *Of "houers". 1:8 *Of "gekeer". 1:9 *Lett. "koninklike huis".

10 Op die sewende dag, toe die koning* in 'n vrolike bui was van die wyn, het hy vir Mehu'man, Bista, Harbo'na,^a Bigta, Abag'ta, Setar en Karkas, sy sewe persoonlike dienaars, gesê **11** om koningin Vasti met die koninklike hoofversiersel* op haar kop na die koning toe te bring, om haar skoonheid vir die volke en die leiers te wys, want sy was baie mooi. **12** Maar koningin Vasti het bly weier om op die koning se bevel te kom wat deur middel van die hofbeamptes oorgedra is. Toe het die koning baie kwaad geword. Hy het gekook van woede.

13 Die koning het toe met die wyse manne gepraat wat bekend was met die prosedures.* (Hy het hulle altyd geraadpleeg omdat hulle bekend was met die wet en regsake, **14** en dié van hulle wat die naaste aan hom was, was Karse'na, Setar, Adma'ta, Tarsis, Meres, Marse'na en Memu'gan, sewe leiers^b van Persië en Medië, wat toegang tot die koning gehad het en wat die hoogste posisies in die koninkryk gehad het.) **15** Die koning het gevra: "Wat moet volgens die wet met koningin Vasti gedoen word omdat sy nie gehoorsaam was aan die bevel van koning Ahas'veros wat deur die hofbeamptes oorgedra is nie?"

16 Toe het Memu'gan in die teenwoordigheid van die koning en die leiers gesê: "Koningin Vasti het nie net teen die koning verkeerd gedoen nie,^c maar teen al die leiers en teen al die volke wat in al die provinsies* van koning Ahas'veros is. **17** Want wat die koningin gedoen het, sal bekend word on-

HFST. 1

a Est 7:9

b Esr 7:14

c Est 1:12

Tweede kol.

a Est 8:8

Da 6:8

b Est 3:12, 14

HFST. 2

c Est 1:1

d Est 1:12

der al die vrouens, en hulle sal nie meer respek vir hulle mans hê nie, en hulle sal sê: 'Koning Ahas'veros het gesê dat koningin Vasti na hom toe gebring moes word, maar sy het geweier om te kom.' **18** Vandag nog sal die prinsesse van Persië en Medië wat weet wat die koningin gedoen het, met hulle mans hieroor praat, en dit sal baie disrespek en ontevredenheid* tot gevolg hê. **19** As die koning dit goedvind, laat 'n koninklike bevel uitgestuur word dat Vasti nooit weer voor koning Ahas'veros mag verskyn nie. Laat dit geskryf word in die wette van Persië en Medië, wat nie teruggetrek kan word nie.^a En laat die koning haar posisie as koningin gee aan 'n vrou wat beter as sy is. **20** Wanneer die bevel van die koning in sy hele uitgestrekte koninkryk gehoor word, sal al die vrouens hulle mans eer, of hulle nou belangrik is of nie."

21 Die koning en die leiers het van hierdie voorstel gehou, en die koning het gedoen wat Memu'gan gesê het. **22** Toe het hy briewe gestuur aan al die koninklike provinsies,^{ab} aan elke provinsie^a in hulle eie skrif^a en aan elke volk in hulle eie taal. Dit het gesê dat elke man die hoof^b van sy eie huis moet wees en die taal van sy eie volk moet praat.

2 Nâ hierdie dinge, toe die woede van koning Ahas'veros^c bedaar het, het hy gedink aan wat Vasti gedoen het^d en aan wat oor haar besluit is.^e

2 Toe het die koning se persoonlike dienaars gesê: "Laat daar na jong, pragtige maag-

1:10 *Lett. "die koning se hart". 1:11

*Of "tulband". 1:13 *Of "die gebruike van daardie dae". Lett. "die tye". 1:16

*Of "regsgebiede".

e Est 1:19

1:18 *Of "verontwaardiging; woede".

1:22 *Lett. "die regsgebiede van die koning". ^aOf "regsgebied". ^bOf "skryfstyl". ^cOf "meester".

de vir die koning gesoek word. **3** En laat die koning mense in al die provinsies* van sy koninkryk^a aanstel om al die pragtige, jong maagde na die paleis[#] Susan,[^] na die huis van die vrouens,^o te bring. Laat hulle in die sorg van Hegai,^b die eunug van die koning en die oppasser van die vrouens, geplaas word, en laat hulle skoonheidsbehandelings[□] ontvang. **4** En die jong vrou vir wie die koning die liefste word, sal in die plek van Vasti koningin wees.”^c Die koning het gedink dat dit ’n goeie voorstel is, en hy het dit toe gedoen.

5 Daar was ’n sekere Joodse man in die paleis[#] Susan,^{^d} en sy naam was Mor’dagai,^e die seun van Jaïr, die seun van Simëi, die seun van Kis, ’n Benjamiet,^f **6** wat uit Jerusalem in ballingskap weggeenem is saam met die volk wat verban is saam met koning Jegon’ja^{*g} van Juda, wat in ballingskap weggeenem is deur koning Nebukadne’sar van Babilon. **7** Hy het Hadas’sa,^{*} wat ook Ester genoem is, die dogter van sy pa se broer,^h grootgemaak[#] omdat sy nie ’n pa of ma gehad het nie. Die jong vrou was mooi en aantreklik, en toe haar pa en ma dood is, het Mor’dagai haar as sy dogter aangeenem. **8** Toe die koning se woord en sy wet bekend gemaak is en ’n klomp jong vroue by die paleis[#] Susan[^] onder toesig van Hegaiⁱ bymekaargebring is, is Ester ook na die koning se paleis* geneem en onder die sorg geplaas van Hegai, die oppasser van die vrouens.

2:3 *Of “regsgebiede”. **2:3, 5, 8** #Of “vesting”. **2:3, 5, 8** [^]Of “Susa”. **2:3** ^oOf “na die harem”. **2:3, 9, 12** □Of “masserings”. **2:6** *Word Jojagin genoem in 2Kn 24:8. **2:7** *Beteken “mirt”, ’n soort plant. #Of “Hy was die oppasser (voog) van . . .” **2:8** *Lett. “huis”.

HFST. 2

a Est 8:9

b Est 2:15

c Est 1:19

d Esr 4:9

Ne 1:1

Est 1:2

Da 8:2

e Est 3:2

Est 10:3

f Ge 49:27

1Sa 9:21

g 2Kn 24:14, 15

1Kr 3:16

2Kr 36:9, 10

Jer 22:28

Jer 24:1

Jer 37:1

Jer 52:31

Mt 1:11

h Est 2:15

i Est 3:3

Tweede kol.

a Est 2:12

b Est 3:8

c Est 2:7

d Est 4:12-14

e Spr 7:17

Hgl 3:6

f Ge 43:11

1Kn 10:2

2Kn 20:13

g Est 2:3

9 En hy het van die jong vrou gehou, en sy het sy goedkeuring* verkry, en hy het dadelik gereël dat sy haar skoonheidsbehandelings^{□a} ontvang en ’n spesiale dieet volg, en hy het vir haar sewe jong uitgesoekte vrouens uit die koning se huis gegee. Hy het haar en haar jong diensvrou ook na die beste plek in die huis van die vrouens[#] geskuif. **10** Ester het niks oor haar volk^b of haar familie gelede gesê nie, want Mor’dagai^c het vir haar gesê om vir niemand te vertel nie.^d **11** Dag ná dag het Mor’dagai voor die voorhof van die huis van die vrouens* geloop om uit te vind hoe dit met Ester gaan en wat met haar gebeur.

12 Elke jong vrou het haar beurt gekry om na koning Ahas’veros toe te gaan nadat sy haar 12 maande van behandeling wat vir die vrouens voorgeskryf is, voltooi het, want hulle moes hulle skoonheidsbehandelings[□] so voltooi: ses maande met mirre-olie^e en ses maande met balsemolie^f en verskillende soorte salf vir skoonheidsbehandeling.* **13** Dan was die jong vrou gereed om na die koning toe te gaan, en enigiets waarvoor sy gevra het, sou vir haar gegee word wanneer sy van die huis van die vrouens* na die koning se huis gegaan het. **14** In die aand het sy ingegaan en in die oggend het sy terugkeer na die tweede huis van die vrouens* onder die toesig van Saas’gas die koning se eunug,^g die oppasser van die byvrouens. Sy het nie weer na die koning toe gegaan nie, tensy die koning

2:9 *Of “lojale liefde”. #Of “in die harem”. **2:11** *Of “die voorhof van die harem”. **2:12** *Of “en met die masserings van die vrouens”. **2:13** *Of “van die harem”. **2:14** *Of “die tweede harem”.

baie van haar gehou het en hy spesifiek vir haar gevra het.^a

15 En toe Ester die dogter van Abi'hail, die oom van Mor'degai, wat haar as sy dogter aangeneem het,^b haar beurt kry om na die koning toe te gaan, het sy vir niks gevra behalwe wat Hegai, die koning se eunug, die oppasser van die vrouens, aanbeveel het nie. (Almal wat Ester gesien het, het baie van haar gehou.) **16** In die tiende maand, die maand Tebet,* in koning Ahas'veros se sewende regeringsjaar,^c is Ester na hom toe geneem by sy koninklike huis. **17** En die koning het Ester meer liefgekry as al die ander vrouens, en sy het sy goedkeuring* verkry, en hy het meer van haar gehou as van al die ander maagde. En hy het die koninklike hoofversiersel^d op haar kop gesit en haar koningin^d gemaak in die plek van Vasti.^e **18** En die koning het 'n groot feesmaal gehou vir al sy hoë amptenare en sy knegte, die feesmaal van Ester. Hy het 'n vrystelling afgekondig vir die provinsies,* en hy het aanhoudend geskenke gegee, soos net die koning dit kon doen.

19 Toe maagde^f 'n tweede keer bymekaargebring is, het Mor'degai in die koning se poort gesit. **20** Ester het niks gesê van haar familieleden en haar volk nie,^g net soos Mor'degai haar beveel het. Ester het aangehou om te doen wat Mor'degai vir haar gesê het, net soos toe sy onder sy sorg was.^h

21 In daardie dae, terwyl Mor'degai in die koning se poort gesit het, het die deurwagters Bigtan en Teres, wat twee hof-beamptes van die koning was,

2:16 *Sien Aanh. B15. 2:17 *Of "lojale liefde". ^aOf "tulband". 2:18 *Of "regsgebiede". 2:19 *Of "jong vroue".

HFST. 2

a Est 4:11

b Est 2:7

c Est 1:3

d Est 4:14

e Est 1:19

f Est 2:3, 4

g Est 2:5, 6
Est 3:8

h Est 2:7, 10

Tweede kol.

a Est 6:1, 2

HFST. 3

b Est 3:10
Est 8:7
Est 9:24

c Eks 17:16
Nu 24:7
De 25:19
1Sa 15:8, 32

d Est 1:14

e Da 6:13

f Est 2:5

g Est 5:9

kwaad geword en 'n plan be- raam om koning Ahas'veros dood te maak.* **22** Maar Mor'degai het daarvan uitvind, en hy het onmiddellik vir konin- gin Ester daarvan vertel. Ester het toe namens Mor'degai met die koning gepraat. **23** Toe is die saak ondersoek en uiteinde- lik bevestig, en al twee mans is aan 'n paal gehang, en dit is al- les voor die koning in die boek met die geskiedkundige verslae geskryf.^a

3 Daarna het koning Ahas've- ros vir Haman,^b die seun van Hammeda'ta, die Agagiet,^c be- vorder deur hom 'n hoër posisie te gee as al die ander leiers wat by hom was.^d **2** En al die kon- ing se knegte wat in die koning se poort was, het gekniel en voor Haman neergebuig, want dit is wat die koning beveel het. Maar Mor'degai het geweier om te kniel en om voor hom neer te buig. **3** Die koning se knegte wat in die koning se poort was, het dus vir Mor'degai gevra: "Hoekom ignoreer jy die koning se bevel?" **4** Hulle het hom dag ná dag gevra, maar hy het nie na hulle geluister nie. Toe het hulle vir Haman daarvan vertel om te sien of Mor'degai se ge- drag toegelaat sou word,^e want hy het vir hulle gesê dat hy 'n Jood is.^f

5 Toe Haman sien dat Mor'degai weier om te kniel en voor hom neer te buig, het Haman woedend geword.^g **6** Maar dit was nie vir hom genoeg om net vir Mor'degai dood te maak nie,* want hulle het hom van Mor'degai se volk vertel. Daar- om het Haman 'n manier begin soek om al die Jode dood te maak wat in die hele koninkryk

2:21 *Lett. "om die hand aan koning Ahasveros te slaan". 3:6 *Lett. "'n hand aan Mordegai alleen te slaan nie".

van Ahas'veros was, Mor'degai se hele volk.

7 In die eerste maand, die maand Nisan,* in die 12de jaar^a van koning Ahas'veros, het hulle die *pur*^b (dit wil sê die lot) voor Haman gewerp om die dag en die maand vas te stel, en dit het op die 12de maand, dit wil sê Adar,^c geval. **8** Haman het toe vir koning Ahas'veros gesê: "Daar is 'n sekere volk wat verspreid en verstrooid* is onder die volke^d in al die provinsies^e van u koninkryk.^e Hulle wette is anders as alle ander volke s'n, en hulle is nie gehoorsaam aan die koning se wette nie, en dit is nie in die koning se belang om hulle so te laat aangaan nie. **9** As die koning dit goedvind, laat 'n bevel uitgestuur word dat hulle vernietig moet word. Ek sal 10 000 talente* silwer aan die amptenare gee om in die koninklike skatkamer te sit."^f

10 Toe het die koning sy seëlring^f van sy hand afgehaal en dit gegee aan Haman,^g die seun van Hammeda'ta, die Agagiet,^h wat die vyand van die Jode was. **11** Die koning het vir Haman gesê: "Die silwer en die volk word aan jou gegee, en jy kan met hulle doen net wat jy wil." **12** Die koning se sekretaris^e is toe op die 13de dag van die eerste maand geroep. Hulle het al Haman se bevel neergeskryf^f vir die koning se satripe,* die goewerneurs wat oor die provinsies^e was en die lei-

3:7 *Sien Aanh. B15. 3:8 *Of "afgesonderd". 3:8, 12, 13 *Of "regsgebiede". 3:9 *'n Talent was gelyk aan 34,2 kg. Sien Aanh. B14. ^aOf moontlik "Ek sal 10 000 talente silwer aan die koninklike skatkamer oorbetaal vir diegene wat hierdie werk doen". 3:12 *Titel wat "beskermers van die ryk" beteken, hier gebruik vir goewerneurs van provinsies in die Persiese Ryk.

HFST. 3

a Est 1:3
Est 2:16

b Est 9:24

c Est 9:1

d De 4:27
Ne 1:8
Jer 50:17

e Est 1:1

f Ge 41:42

g Est 3:1
Est 8:2h Nu 24:7
1Sa 15:8, 32

i Est 8:9

j Da 6:8

Tweede kol.

a Est 8:8
Da 6:17

b Est 9:1

c Est 8:11, 12

d Est 8:14

e Esr 4:9
Ne 1:1
Da 8:2

HFST. 4

f Est 2:5

g Est 3:8-11

h Est 1:1

i 2Kr 20:3
Esr 8:21

j Da 9:3

ers van die verskillende volke. Dit was neergeskryf in die skrif* van elke provinsie^e en in die taal van elke volk. Dit was in die naam van koning Ahas'veros geskryf en met die koning se seëlring verseël.^a

13 Die briewe is deur middel van boodskappers na al die koning se provinsies^e gestuur, en dit het beveel dat al die Jode, jonk sowel as oud, kinders en vrouens, op een dag, op die 13de dag van die 12de maand, die maand Adar,^b uitgeroei en doodgemaak, ja vernietig, moet word en dat al hulle besittings gevat moet word.^c **14** Die inhoud* van die dokument moes in elke provinsie^e as 'n wet uitgevaardig word en aan al die volke bekend gemaak word, sodat hulle vir daardie dag voorbereid sou wees. **15** Die boodskappers het vinnig uitgegaan,^d soos die koning beveel het. Die wet is in die paleis* Susan^e uitgevaardig. Die koning en Haman het toe gaan sit om te drink, maar die stad Susan^e was in verwarring.

4 Toe Mor'degai^f uitvind van alles wat gedoen is,^g het hy sy klere geskeur, saklinne aangetreken en as op hom gegooi. Toe het hy na die middel van die stad gegaan terwyl hy hard en bitterlik gehuil het. **2** Hy het net tot by die koning se poort gegaan, want niemand mag in saklinne in die koning se poort ingegaan het nie. **3** In elke provinsie^e waar die Jode van die koning se woord en sy bevel gehoor het, het hulle baie getreure en gevas' en hard gehuil. Baie van hulle het op saklinne en as' gaan lê. **4** Toe koningin Ester se diensmeisies en

3:12 *Of "skryfstyl". 3:12, 14; 4:3 *Of "regsgebied". 3:14 *Lett. "n Afskrif". 3:15 *Of "vesting". ^aOf "Susa".

haar eunugs inkom en haar vertel, was sy baie ontsteld. Sy het toe vir Mor'degai klere gestuur om te dra eerder as sy saklinne, maar hy het geweier om dit aan te trek. **5** Toe het Ester vir Hatag geroep, een van die koning se eunugs, wat die koning as haar dienaar aangestel het, en sy het hom beveel om by Mor'degai uit te vind wat dit alles beteken en wat aan die gang is.

6 Hatag het toe uitgegaan na Mor'degai, wat in die openbare stadsplein voor die koning se poort was. **7** Mor'degai het hom vertel van alles wat met hom gebeur het. En hy het vir hom gesê van die presiese bedrag geld^a wat Haman belowe het om aan die koning se skatkamer te betaal sodat die Jode vernietig kan word.^b **8** Hy het ook vir hom 'n afskrif gegee van die geskrewe bevel wat in Susa^{*c} uitgevaardig is wat sê dat hulle vernietig moet word. Hy moes dit vir Ester wys en dit aan haar verduidelik. Hy moes ook vir haar sê^d om na die koning toe te gaan en hom te smeek om genade aan haar volk te betoon.

9 Hatag het toe teruggekomben en vir Ester vertel wat Mor'degai gesê het. **10** Toe het Ester vir Hatag gesê om die volgende boodskap aan Mor'degai^e te gee: **11** "Al die koning se knegte en die volk van die koning se provinsies* weet dat daar net een wet is vir enigiemand wat na die koning se binneste voorhof gaan^f sonder dat hy geroep word: Hy moet doodgemaak word. Hy mag net lewe as die koning die goue septer na hom toe uitsteek.^g En dit is nou 30 dae sedert die koning my laas geroep het."

4:8, 16 *Of "Susa". 4:11 *Of "regsgebiede".

HFST. 4

a Est 3:9

b Est 3:8, 13

c Est 3:14, 15

d Est 2:20

e Est 2:5, 7

f Est 5:1

g Est 5:2

Est 8:4

Tweede kol.

a 1Sa 12:22

Jes 54:17

b Est 2:17

c 2Kr 20:3

Esr 8:21

d Est 5:1

HFST. 5

e Est 4:16

f Est 4:11

Est 8:4

g Est 3:1, 10

12 Toe Mor'degai vertel is wat Ester gesê het, **13** het hy haar geantwoord: "Moenie dink dat jy 'n beter kans staan om vry te kom as al die ander Jode omdat jy deel van die koning se huisgesin is nie. **14** Want as jy in hierdie tyd stilbly, sal verligting en verlossing vir die Jode uit 'n ander bron kom,^a maar jy en die huis van jou vader sal vergaan. En wie weet, dalk is hierdie krisis die rede waarom jy koningin geword het."^b

15 Toe het Ester vir Mor'degai gesê: **16** "Gaan, maak al die Jode bymekaar wat in Susa^{*} is, en vas^c namens my. Julle moet drie dae^d en drie nagte lank niks eet of drink nie. Ek en my diensmeisies sal ook vas. Ek sal na die koning toe gaan, al is dit teen die wet, en as ek moet sterf, dan moet ek sterf." **17** Mor'degai het toe weggegaan en alles gedoen wat Ester vir hom gesê het om te doen.

5 Op die derde dag^e het Ester haar koninklike klere aange-trek en in die binneste voorhof oorkant die koning se paleis* gaan staan, terwyl die koning in die koninklike huis oorkant die ingang op sy koninklike troon gesit het. **2** Toe die koning vir koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy die koning se goedkeuring verkry, en hy het die goue septer in sy hand na Ester toe uitgesteek.^f Ester het nader gekom en aan die punt van die septer geraak.

3 Die koning het vir haar gevra: "Wat is fout, koningin Ester? Wat wil jy vra? Selfs die helfte van my koninkryk sal aan jou gegee word!" **4** Ester het geantwoord: "As die koning dit goedvind, laat hy vandag saam met Haman^g na die feesmaal

5:1 *Lett. "huis".

kom wat ek vir die koning voorberei het.” **5** Toe het die koning vir sy manne gesê: “Sê vir Haman om dadelik te kom, net soos Ester gevra het.” Die koning en Haman het dus na die feesmaal gegaan wat Ester voorberei het.

6 Later, terwyl hulle wyn ge-drink het, het die koning vir Ester gesê: “Wat is dit wat jy wil hê? Dit sal aan jou gegee word! Wat kan ek vir jou gee? Selfs die helfte van my koninkryk sal aan jou gegee word!”^a **7** Ester het geantwoord: “Dit is wat ek wil vra: **8** As ek die koning se goedkeuring verkry het en as die koning dit goedvind om vir my te gee wat ek vra, laat die koning en Haman na die feesmaal toe kom wat ek môre vir hulle sal hou, en môre sal ek doen wat die koning sê.”

9 Op daardie dag was Haman in 'n goeie bui, en hy het vrolik uitgegaan. Maar toe Haman vir Mor'degai in die koning se poort sien en opmerk dat hy nie opstaan of vir hom bang is nie, het Haman woedend geword vir Mor'degai.^b **10** Maar Haman het hom ingehou en na sy huis toe gegaan. Toe het hy sy vriende en sy vrou Seres^c laat roep. **11** Haman het gespog oor hoe ryk hy is, hoe baie seuns hy het^d en hoe die koning hom bevorder het en hom 'n belangriker posisie gegee het as die leiers en die knegte van die koning.^e

12 Haman het bygevoeg: “En nog iets, koningin Ester het net vir my en die koning genooi na die feesmaal wat sy voorberei het.^f Ek is genooi om ook môre saam met haar en die koning te wees.^g **13** Maar nie een van hierdie dinge stel my tevrede solank ek die Jood Mor'degai in die koning se poort sien sit nie.”

HFST. 5

a Est 7:2

b Est 3:2-5

c Est 5:14
Est 6:13

d Est 9:7-10

e Est 3:1

f Est 5:5

g Est 5:8

Tweede kol.

a Est 6:4
Est 7:9

HFST. 6

b Est 10:2

c Est 2:21, 23

d Est 4:11

e Est 5:14

f Est 3:1

14 Toe het sy vrou Seres en al sy vriende vir hom gesê: “Laat 'n paal opgerig word, 50 el* hoog. En sê dan môreoggend vir die koning dat Mor'degai daaraan gehang moet word.^a Gaan dan saam met die koning en geniet die feesmaal.” Hierdie voorstel het goed geklink vir Haman, en daarom het hy die paal laat oprig.

6 Daardie nag kon die koning nie slaap nie.* Daarom het hy gesê dat die boek met die geskiedkundige verslae^b gebring moet word, en dit is aan die koning voorgelees. **2** Die boek het gesê wat Mor'degai bekend gemaak het oor die deurwagters Bigta'na en Teres, die twee hofbeamptes van die koning wat 'n plan beraam het om koning Ahas'veros dood te maak.*^c **3** Die koning het gevra: “Watter eer en erkenning is hiervoor aan Mor'degai gegee?” Die koning se persoonlike dienaars het gesê: “Niks is vir hom gedoen nie.”

4 Later het die koning gevra: “Wie is in die voorhof?” Dit was toe Haman wat in die buitenste voorhof^d van die koning se paleis* ingekom het om vir die koning te vra dat Mor'degai aan die paal gehang moet word wat hy vir hom gereedgemaak het.^e **5** Die koning se dienaars het vir hom gesê: “Dit is Haman^f wat in die voorhof staan.” Toe het die koning gesê: “Laat hom inkom.”

6 Toe Haman inkom, het die koning vir hom gevra: “Wat moet gedoen word vir die man aan wie die koning eer wil bewys?” Haman het in sy hart gesê: “Aan wie anders as aan my

5:14 *Omtrent 22,3 m. Sien Aanh. B14. **6:1** *Lett. “het die koning se slaap gevlug”. **6:2** *Lett. “om die hand aan koning Ahasveros te slaan”. **6:4** *Lett. “huis”.

sou die koning eer wou bewys?"^a **7** Toe het Haman vir die koning gesê: "Wat die man betref aan wie die koning eer wil bewys, **8** laat hulle van die klere bring wat deur die koning gedra word,^b en 'n perd waarop die koning ry, met die koninklike hoofversiersel op die perd se kop. **9** Laat die klere en die perd dan in die sorg van een van die koning se belangrike manne geplaas word, en hulle moet dit vir die man aantrek aan wie die koning eer wil bewys, en hulle moet hom in die openbare stadsplein op die perd laat ry. Hulle moet voor hom uitroep: 'Só word gedoen vir die man aan wie die koning eer wil bewys!'"^c **10** Die koning het dadelik vir Haman gesê: "Maak gou! Neem die klere en die perd, en doen wat jy nou net gesê het vir die Jood Mor'degai wat in die koning se poort sit. Jy moet alles doen wat jy gesê het."

11 Toe het Haman die klere en die perd geneem en Mor'degai^d aangetrek en hom in die openbare stadsplein laat ry en voor hom uitgeroep: "Só word gedoen vir die man aan wie die koning eer wil bewys!" **12** Daarna het Mor'degai na die koning se poort teruggekeer, maar Haman het vinnig na sy huis toe gegaan terwyl hy getreur het en sy kop bedek het. **13** Toe Haman vir sy vrou Seres^e en vir al sy vriende vertel van alles wat met hom gebeur het, het sy wyse manne en sy vrou Seres vir hom gesê: "As Mor'degai, voor wie jy begin val het, 'n Jood is,* sal jy niks teen hom kan doen nie. Jy sal beslis voor hom val."

14 Terwyl hulle nog met hom gepraat het, het die koning

6:13 *Lett. "van die saad van die Jode is".

HFST. 6

a Est 3:2
Est 5:11

b Est 8:15

c Ge 41:42, 43

d Est 2:5, 6

e Est 5:10, 14

Tweede kol.

a Est 5:8

HFST. 7

b Est 3:1

c Est 5:3, 6

d Est 2:5, 7

e Est 3:8, 9

f Est 3:13
Est 4:7, 8

se hofbeamptes daar aangekom en Haman vinnig na die feesmaal geneem wat Ester voorberei het.^a

7 Toe het die koning en Haman^b ingekom om saam met koningin Ester te eet. **2** Op die tweede dag, terwyl hulle wyn gedrink het, het die koning weer vir Ester gevra: "Wat is dit wat jy wil hê, koningin Ester? Dit sal aan jou gegee word. En wat wil jy vra? Selfs die helfte van my koninkryk sal aan jou gegee word!"^c **3** Koningin Ester het geantwoord: "As ek u goedkeuring het, o koning, en as die koning dit goevind, wil ek vra dat u my lewe spaar en my volk^d red. **4** Want ek en my volk is verkoop^e om uitgeroei en doodgemaak, ja vernietig, te word.^f As ons maar net as slawe en slavinne verkoop is, sou ek stilgebly het. Maar dit sal nie reg wees as hierdie ramp plaasvind nie, want dit sal veroorsaak dat die koning skade ly."

5 Koning Ahas'veros het toe vir koningin Ester gevra: "Wie is dit, en waar is die man wat gewaag het om so iets te doen?" **6** Ester het gesê: "Die teenstander en vyand is hierdie slegte Haman."

Haman het baie bang geword weens die koning en die koningin. **7** Die koning het die feesmaal woedend verlaat en na die tuin van die paleis gegaan, maar omdat Haman besef het dat die koning vasbeslote is om hom te straf, het hy opgestaan om koningin Ester te smek om sy lewe te red. **8** Die koning het van die tuin van die paleis af teruggekeer na die huis waar hulle wyn gedrink het en gesien dat Haman op die slaapbank neergeval het waarop Ester was. Die koning het uitgeroep: "Gaan hy

die koningin ook nog in my eie huis verkrag?" Toe die koning dit gesê het, het hulle Haman se gesig toegemaak. **9** Harbo^{na},^a een van die koning se hof-beampstes, het toe gesê: "Haman het ook 'n paal gereedgemaak vir Mor'degai,^b die man wat die koning se lewe gered het deur wat hy gesê het.^c Dit staan by Haman se huis, 50 el* hoog." Toe het die koning gesê: "Hang hom daaraan." **10** Toe het hulle Haman aan die paal gehang wat hy vir Mor'degai gereedgemaak het, en die koning se woe-de het bedaar.

8 Op daardie dag het koning Ahas'veros die huis van Haman,^d die vyand van die Jode,^e vir koningin Ester gegee. Mor'degai het toe voor die koning verskyn, want Ester het die koning vertel dat hy familie van haar is.^f **2** Toe het die koning sy seëlring afgehaal^g wat hy van Haman weggeneem het en dit vir Mor'degai gegee. En Ester het Mor'degai in beheer van die huis van Haman geplaas.^h

3 Ester het toe weer met die koning gaan praat. Sy het by sy voete neergeval en gehuil en hom gesmeek om Haman, die Agagiet, se wrede plan teen die Jode stop te sit.ⁱ **4** Die koning het die goue septer na Ester toe uitgesteek,^j en daarna het Ester opgestaan en voor die koning gaan staan. **5** Sy het gesê: "As die koning dit goedvind en ek sy goedkeuring het, en as dit gepas is vir die koning en ek goed is in sy oë, wil ek vra dat 'n bevel geskryf word om die dokumente te herroep van die slinkse Haman,^k die seun van Hammeda'ta, die Agagiet." Hy het dit geskryf om die Jode in al die koning se provinsies* te vernietig.

7:9 *Omtrent 22,3 m. Sien Aanb. B14. 8:5, 9 *Of "regsgebiede".

HFST. 7

a Est 1:10

b Est 5:14

c Est 6:2

HFST. 8

d Est 5:11

e Est 3:8
Est 9:24

f Est 2:5, 7

g Ge 41:41, 42
Est 3:10
Da 6:17

h Da 2:48

i Est 3:9
Est 7:4
Est 9:24, 25

j Est 4:11

k Est 3:12, 14

l Eks 17:16
Nu 24:7
De 25:19
1Sa 15:8, 33

Tweede kol.

a Est 8:1

b Est 7:10

c Da 6:8, 15

d Da 6:1

e Est 9:3

f Est 8:2

6 Want ek sal dit nie kan verdra om te sien hoe hierdie ramp my volk tref en hoe my familieledes vernietig word nie."

7 Toe het koning Ahas'veros vir koningin Ester en vir die Jood Mor'degai gesê: "Kyk! Ek het die huis van Haman vir Ester gegee^a en hom aan die paal laat hang^b as gevolg van sy plan om die Jode aan te val.*

8 Julle mag nou in die koning se naam enigiets skryf wat julle dink goed is vir die Jode en dit met die koning se seëlring verseël, want 'n bevel wat in die koning se naam geskryf is en met die koning se seëlring verseël is, kan nie teruggetrek word nie."^c

9 Toe is die sekretaris van die koning in daardie tyd geroep, in die derde maand, die maand Siwan,^d op die 23ste dag. Hulle het alles neergeskryf wat Mor'degai beveel het aan die Jode, die satrape,^e die goewer-neurs en die leiers van die provinsies*^e van Indië tot Etiopië, 127 provinsies.* Hulle het aan elke provinsie^g geskryf in sy eie skrif^h en aan elke volk in sy eie taal en aan die Jode in hulle eie skrif^h en taal.

10 Hy het dit in die naam van koning Ahas'veros neergeskryf en dit met die koning se seëlringⁱ verseël en die geskrewe dokumente met* boodskappers op perde gestuur. Hulle het op vinnige posperde gery wat vir koninklike diens gebruik is. **11** In hierdie dokumente het die koning aan die Jode in al die

8:7 *Lett. "omdat hy sy hand uitgesteek het teen die Jode". 8:9 ^aSien Aanb. B15. ^bTitel wat "beskermers van die ryk" beteken, hier gebruik vir goewer-neurs van provinsies in die Persiese Ryk. ^cOf "regsgebied". ^dOf "skryfstyl". 8:10 *Lett. "deur die hand van".

verskillende stede toestemming gegee om bymekaar te kom en om hulleself* te verdedig en om enige leërmag of volk of provinsie[#] wat hulle dalk sal aanval, insluitende vrouens en kinders, uit te roei, dood te maak en te vernietig en om hulle besittings te vat.^a **12** Dit moes op dieselfde dag plaasvind in al die provinsies* van koning Ahas'veros, op die 13de dag van die 12de maand, die maand Adar.^{#b} **13** Die inhoud[#] van die dokument moes in al die provinsies* as 'n wet uitgevaardig word. Dit moes aan al die volke bekend gemaak word, sodat die Jode op daardie dag gereed sou wees om op hulle vyande wraak te neem.^c **14** Die boodskappers wat op die posperde gery het wat vir koninklike diens gebruik is, het dringend uitgegaan en vinnig gery, net soos die koning hulle beveel het. Die wet is ook in die paleis* Susan^{#d} uitgevaardig.

15 En Mor'degai het van die koning af weggegaan in koninklike klere van blou en wit materiaal, en hy het 'n groot goue kroon en 'n mantel van goeie materiaal van pers wol gedra.^e En die stad Susan[#] het vreugdevol uitgeroep. **16** Vir die Jode was daar verligting* en blydskap en vreugde en eer. **17** En in al die provinsies* en al die stede waar die bevel en die wet van die koning gehoor is, was die Jode bly en vreugdevol. Hulle het geëet en feesgevier, en baie van die volke van die land het verklaar dat hulle Jode is,^f want hulle was bang vir die Jode.

8:11 *Of "hulle siele". [#]Of "regsgebied". 8:12, 13, 17; 9:2-4 *Of "regsgebiede". 8:12; 9:1 [#]Sien Aanh. B15. 8:13 *Of "afskrif". 8:14; 9:6, 11 *Of "vesting". 8:14, 15; 9:6 [#]Of "Susa". 8:16 *Lett. "lig".

HFST. 8

a Est 9:5-10

b Est 3:13
Est 9:1, 2
Est 9:16, 17

c Ps 149:6, 7

d Esr 4:9
Ne 1:1
Est 1:2
Da 8:2

e Est 6:7, 8

f Sag 8:23

Tweede kol.

HFST. 9

a Est 3:7
Est 8:11, 12

b Est 3:13

c De 32:36
2Sa 22:41

d Est 1:1

e Est 8:17

f Da 6:1

g Est 8:15

h Est 8:11

i Esr 4:9
Ne 1:1
Est 1:2
Da 8:2j Est 3:8, 10
Est 7:4-6k Est 8:11
Est 9:16

9 Op die 13de dag van die 12de maand, die maand Adar,^{#a} moes die koning se woord en wet uitgevoer word.^b Dit was die dag toe die Jode se vyande gehoop het om hulle te verslaan, maar die teenoorgestelde het gebeur, en die Jode het hulle vyande verslaan.^c **2** Die Jode het in hulle stede in al die provinsies* van koning Ahas'veros^d bymeekargekom om te gaan veg teen dié wat hulle wou aanval, en niemand kon teen die Jode staande bly nie, want al die volke was bang vir hulle.^e **3** En al die leiers van die provinsies,* die satrape,^{#f} die goewer-neurs en dié wat na die sake van die Jode ondersteun, want hulle was bang vir Mor'degai. **4** Mor'degai het 'n hoë posisie^g in die koning se paleis[#] verkry, en hy het al hoe bekender geword in al die provinsies,* want Mor'degai het magtiger en magtiger geword.

5 Die Jode het al hulle vyande met die swaard doodgemaak en vernietig. Hulle het aan hulle vyande gedoen net wat hulle wou.^h **6** In die paleis* Susan^{#i} het die Jode 500 manne doodgemaak. **7** Hulle het ook vir Parsanda'ta, Dalfon, Aspa'ta, **8** Pora'ta, Adal'ja, Arida'ta, **9** Parmas'ta, Ari'sai, Ari'dai en Waisa'ta doodgemaak. **10** Dit was die tien seuns van Haman, die seun van Hammeda'ta, die vyand van die Jode.^j Maar nadat hulle hulle doodgemaak het, het hulle nie enige van hulle besittings gevat nie.^k

11 Op daardie dag is die getal van dié wat in die paleis*

9:3 [#]Titel wat "beskermers van die ryk" beteken, hier gebruik vir goewer-neurs van provinsies in die Persiese Ryk. **9:4** [#]Lett. "huis".

Susan* doodgemaak is, aan die koning bekend gemaak.

12 Die koning het vir koningin Ester gesê: "In die paleis* Susan* het die Jode 500 manne en die tien seuns van Haman doodgemaak. Maar wat het hulle in die res van die koning se provinsies^a gedoen?^a Wat kan ek nou vir jou doen? Dit sal aan jou gegee word. En wat wil jy nog vra? Laat dit gedoen word."

13 Ester het geantwoord: "As die koning dit goedvind,^b laat die Jode wat in Susan* is, toegelaat word om ook môre volgens die wet van vandag op te tree,^c en laat die tien seuns van Haman aan die paal gehang word."^d

14 Toe het die koning beveel dat dit gedoen moet word. 'n Wet is in Susan* uitgevaardig, en die tien seuns van Haman is gehang.

15 Die Jode in Susan* het op die 14de dag van die maand Adar^e weer bymekaargekom, en hulle het 300 manne in Susan* doodgemaak, maar hulle het nie enige van hulle besittings gevat nie.

16 Die res van die Jode in die provinsies^a van die koning het ook bymekaargekom en hulle self verdedig.^f Hulle het ontslae geraak van hulle vyande^g deur 75 000 van hulle dood te maak, maar hulle het nie enige van hulle besittings gevat nie. **17** Dit was op die 13de dag van die maand Adar, en hulle het op die 14de dag gerus en dit 'n dag gemaak waarop hulle feesgevier het en vreugdevol was.

18 Die Jode in Susan* het op die 13de^h en die 14deⁱ dag bymekaargekom, en hulle het op die 15de dag gerus en dit 'n dag gemaak waarop hulle

HFST. 9

a Est 9:16

b Est 5:8

Est 7:3

Est 8:5

c Est 8:11

d Est 7:10

e Est 9:21, 22

f Est 7:3

g Est 8:13

Ps 149:6, 7

h Est 9:1, 2

i Est 9:13, 15

Tweede kol.

a Ps 124:2, 6

b Ne 8:10

c Est 2:5, 6

d Est 4:1-3

e Est 3:1

f Eks 17:16

Nu 24:7

De 25:19

1Sa 15:8, 33

g Est 3:8, 9

h Est 3:7

i Est 8:10

j Est 8:3

k Est 5:14

Est 7:10

Est 9:14

l Est 3:7

feesgevier het en vreugdevol was. **19** Daarom het die Jode wat op die platteland gewoon het, die 14de dag van die maand Adar 'n dag gemaak waarop hulle bly was en feesgevier het^a en kos aan mekaar gestuur het.^b

20 Mor'degai^c het hierdie dinge neergeskryf en amptelike briewe aan al die Jode gestuur in al die provinsies^a van koning Ahas'veros, aan dié wat naby so wel as dié wat ver was. **21** Hy het vir hulle gesê om elke jaar die 14de en 15de dag van die maand Adar te vier, **22** want op daardie dae is die Jode verlos van hulle vyande, en in daardie maand is hulle hartseer in blydschap verander, en hulle getreue^d in feesviering. Hulle moes dit as dae van feesviering en blydschap vier en as 'n tyd om kos aan mekaar en geskenke aan die armes te stuur.

23 En die Jode het ingestem om elke jaar hierdie fees te vier en om te doen wat Mor'degai aan hulle geskryf het. **24** Want Haman,^e die seun van Hammeda'ta, die Agagiet,^f die vyand van al die Jode, het 'n plan teen die Jode beraam om hulle te vernietig,^g en hy het die *pur*,^h of die lot, laat werp om hulle paniekbevange te maak en om hulle te vernietig.

25 Maar toe Ester voor die koning inkom, het hy 'n bevel laat neerskryfⁱ wat sê: "Laat die wrede dinge wat hy teen die Jode beplan het,^j met hom gebeur," en hulle het hom en sy seuns aan die paal gehang.^k **26** Hulle het hierdie dae dus Purim genoem, na die naam van die *pur*.^l En as gevolg van alles in hierdie brief en wat hulle gesien het

9:26 *Beteken "lot". Die meervoudsvorm *purim* het die naam geword van die Joodse fees wat in die 12de maand van die heilige kalender gevier is. Sien Aanh. B15.

9:11-15, 18 *Of "Susa". 9:12 #Of "vesting". 9:12, 16, 20 ^aOf "regsgebiede".

en wat met hulle gebeur het, **27** het die Jode hulleself en hulle nakomelinge en almal wat by hulle sou aansluit,^a verplig om hierdie twee dae elke jaar op die vasgestelde tyd te vier en om alles te doen wat daarvoor geskryf is. **28** Hierdie dae moes in elke geslag, elke familie, elke provinsie* en elke stad onthou en gevier word. En hierdie dae van die Purim moenie tot 'n einde kom onder die Jode nie, en die herdenking daarvan moenie tot 'n einde kom onder hulle nakomelinge nie.

29 Toe het koningin Ester, die dogter van Abi'hail, sowel as die Jood Mor'degai hulle gesag gebruik en 'n tweede brief geskryf om die Purim te bevestig. **30** Hy het amptelike briewe met woorde van vrede en waarheid aan al die Jode in die 127 provinsies*^b van die koninkryk van Ahas'veros^c gestuur. **31** Die briewe het die herdenking van hierdie dae van die Purim op hulle vasgestelde tye bevestig, net soos die Jood

9:28 *Of "regsgebied". **9:30** *Of "regsgebiede".

HFST. 9

a Le 24:22
Est 8:17

b Est 8:9

c Est 1:1

Tweede kol.

a Est 9:20, 21

b Est 9:27

c 2Kr 20:3

d Est 4:1

e Est 9:26

HFST. 10

f Est 2:5, 6

g Est 8:15
Da 2:48h Esr 4:15
Est 6:1i Est 1:3
Da 6:15

Mor'degai en koningin Ester hulle beveel het om te doen^a en net soos hulle hulleself en hulle nakomelinge verplig het om te doen.^b Hy het ook gesê dat hulle moet vas^c en smeekgebiede^d moet doen. **32** En die bevel van Ester het hierdie sake van die Purim^e bevestig, en dit is in 'n boek neergeskryf.

10 Koning Ahas'veros het die inwoners van die land en van die eilande van die see gedwing om vir hom te werk.

2 En al sy groot en kragtige prestasies sowel as die verslag met al die besonderhede van hoe hy Mor'degai^f verheerlik het,^g is opgeteken in die boek met die geskiedkundige verslae^h van die konings van Medië en Persië.ⁱ **3** Net koning Ahas'veros het 'n hoër posisie as die Jood Mor'degai gehad. Mor'degai was groot* onder die Jode, en hulle het hom gerespekteer, en hy het hard gewerk om goeie dinge vir sy volk te doen en om te sorg dat dit goed gaan met[#] al hulle nakomelinge.

10:3 *Of "hooggeag". [#] Lett. "en vrede gespreek vir".

JOB

OORSIG

- 1 Job se integriteit en rykdom (1-5)
Satan bevraagteken rede waarom Job God dien (6-12)
Job verloor sy besittings en kinders (13-19)
Job blameer God nie (20-22)
- 2 Satan bevraagteken weer rede waarom Job God dien (1-5)
Satan toegelaat om Job met siekte te tref (6-8)

- Job se vrou sê: "Vervloek God en sterf!" (9, 10)
Job se drie vriende kom na hom toe (11-13)
- 3 Job betreur sy geboorte (1-26)
Vra hoekom hy ly (20, 21)
 - 4 Elifas praat die eerste keer (1-21)
Bespot Job se integriteit (7, 8)
Vertel van gees se boodskap (12-17)

- 'God het geen vertroue in sy knegte nie' (18)
- 5 Elifas praat verder (1-27)
'God vang wyses met hulle eie slinkse planne' (13)
'Job moenie God se dissipline verwerp nie' (17)
- 6 Job se antwoord (1-30)
Sê dat hy met goeie rede kla (2-6)
Sy vertroosters is onbetroubaar (15-18)
"Eerlike woorde maak nie seer nie!" (25)
- 7 Job antwoord verder (1-21)
Lewe is soos slawearbeid (1, 2)
"Hoekom het u my u teiken gemaak?" (20)
- 8 Bildad praat die eerste keer (1-22)
Gee te kenne dat Job se kinders gesondig het (4)
'As jy rein is, sal God jou beskerm' (6)
Gee te kenne dat Job goddeloos is (13)
- 9 Job se antwoord (1-35)
Blote mens kan nie reg wees in saak teen God nie (2-4)
'God doen onverklaarbare dinge' (10)
'n Mens kan nie teen God stry nie (32)
- 10 Job antwoord verder (1-22)
'Hoekom stry God teen my?' (2)
God word met sterflike Job vergelyk (4-12)
'As ek maar net verligting kan vind' (20)
- 11 Sofar praat die eerste keer (1-20)
Beskuldig Job van leë praatjies (2, 3)
Sê vir Job om op te hou om slegte dinge te doen (14)
- 12 Job se antwoord (1-25)
"Julle is nie beter as ek nie" (3)
"My vriende lag my uit" (4)
'Wysheid is by God' (13)
God is ver verhewe bo regters en konings (17, 18)
- 13 Job antwoord verder (1-28)
'Ek sou eerder met God wou praat' (3)
'Julle is nikswerd dokters' (4)
"Ek weet dat ek reg is" (18)
- Vra hoekom God hom as vyand beskou (24)
- 14 Job antwoord verder (1-22)
Mens se lewe is kort en vol probleme (1)
"Selfs vir 'n boom is daar hoop" (7)
"As u my maar in die Graf wou wegsteek" (13)
"As 'n man sterf, kan hy weer lewe?" (14)
God sal verlang na werk van sy hande (15)
- 15 Elifas praat die tweede keer (1-35)
Beweer dat Job God nie vrees nie (4)
Beweer dat Job hoogmoedig is (7-9)
'God het nie vertroue in sy engele nie' (15)
'Dié wat ly, is goddeloos' (20-24)
- 16 Job se antwoord (1-22)
"Julle is almal hopelose vertroosters!" (2)
Sê dat God hom sy teiken maak (12)
- 17 Job antwoord verder (1-16)
"Spotters omring my" (2)
'Hy het my 'n bespotting gemaak' (6)
'Die Graf sal my huis word' (13)
- 18 Bildad praat die tweede keer (1-21)
Beskryf lot van sondears (5-20)
Gee te kenne dat Job God nie ken nie (21)
- 19 Job se antwoord (1-29)
Verwerp wat sy "vriende" sê (1-6)
Sê dat almal hom in die steek gelaat het (13-19)
"My verlosser lewe" (25)
- 20 Sofar praat die tweede keer (1-29)
Voel dat Job hom beledig het (2, 3)
Gee te kenne dat Job goddeloos is (5)
Beweer dat Job sonde geniet (12, 13)
- 21 Job se antwoord (1-34)
'Hoekom gaan dit goed met goddeloses?' (7-13)
Sê watter soort persone sy " vertroosters" werklik is (27-34)
- 22 Elifas praat die derde keer (1-30)
'Kan 'n mens vir God van nut wees?' (2, 3)

- Beskuldig Job van gierigheid en onregverdigheid (6-9)
 'Keer terug na God en dit sal weer goed gaan' (23)
- 23 Job se antwoord (1-17)
 Wil sy saak aan God stel (1-7)
 Sê dat hy God nie kan vind nie (8, 9)
 "Ek het op sy weg gebly sonder om af te dwaal" (11)
- 24 Job antwoord verder (1-25)
 'Hoekom stel God nie 'n tyd vas nie?' (1)
 Sê dat God goddeloosheid toelaat (12)
 Sondaars is lief vir donkerte (13-17)
- 25 Bildad praat die derde keer (1-6)
 'Hoe kan 'n mens onskuldig wees voor God?' (4)
 Beweer dat 'n mens se integriteit tevergeefs is (5, 6)
- 26 Job se antwoord (1-14)
 'Hoe het jy die een gehelp wat nie krag het nie?' (1-4)
 'God laat aarde hang aan niks' (7)
 'Net 'n klein deeltjie van God se werke' (14)
- 27 Job vasbeslote om sy integriteit te behou (1-23)
 'Ek sal nie my integriteit prysgee nie' (5)
 Goddeloses het geen hoop nie (8)
 'Hoekom sê julle dinge wat niks beteken nie?' (12)
 Goddeloses sal op ou end niks hê nie (13-23)
- 28 Verskille tussen aarde se skatte en wysheid (1-28)
 Mynbedrywighede (1-11)
 Wysheid meer werd as pêrels (18)
 Vrees vir Jehovah is ware wysheid (28)
- 29 Job dink terug aan gelukkige dae (1-25)
 Gerespekteer in stadspoort (7-10)
 Sy regverdige dade in verlede (11-17)
 Almal het na sy raad geluister (21-23)
- 30 Job beskryf hoe sy situasie verander het (1-31)
 Gespot deur nikswerd mense (1-15)
- Job voel dat God nie help nie (20, 21)
 "My vel het swart geword" (30)
- 31 Job verdedig sy integriteit (1-40)
 "Verbond met my oë" (1)
 Wil deur God geweeg word (6)
 Nie 'n egbreker nie (9-12)
 Nie lief vir geld nie (24, 25)
 Nie 'n afgodedienaar nie (26-28)
- 32 Jong Elihu begin praat (1-22)
 Kwaad vir Job en Job se vriende (2, 3)
 Uit respek gewag voordat hy begin praat (6, 7)
 Mense nie noodwendig wys omdat hulle oud is nie (9)
 Elihu wil graag praat (18-20)
- 33 Elihu wys Job tereg omdat Job homself as regverdig beskou (1-33)
 'n Losprys gevind (24)
 Keer terug na jeugdige krag (25)
- 34 Elihu verdedig God se geregtigheid en weë (1-37)
 Job het gesê dat God gekeer het dat hy geregtigheid kry (5)
 Ware God tree nooit goddeloos op nie (10)
 Job het nie kennis nie (35)
- 35 Elihu wys dat Job se redenasie verkeerd is (1-16)
 Job het gesê dat hy regverdiger is as God (2)
 God so hoog, nie deur sonde benadeel nie (5, 6)
 Job moet op God wag (14)
- 36 Elihu prys God se onvergelyklike grootheid (1-33)
 Gehoorsames voorspoedig; goddeloses verwerp (11-13)
 'Watter onderrigter is soos God?' (22)
 Job moet God loof (24)
 "Ons kan nie begryp hoe groot God is nie" (26)
 God beheer reën en weerlig (27-33)
- 37 Natuurkragte openbaar God se grootheid (1-24)
 God kan mense se bedrywighede tot stilstand laat kom (7)
 'Dink na oor God se wonderlike werke' (14)
 Buite mense se bereik om God te verstaan (23)

- Geen mens moet dink dat hy wys is nie (24)
- 38 Jehovah leer Job hoe klein mens is (1-41)
 'Waar was jy toe aarde geskep is?' (4-6)
 Seuns van God het gejuig (7)
 Vrae oor natuurverskynsels (8-32)
 "Wette wat die hemele beheer" (33)
- 39 Dierskepping wys hoe min mens weet (1-30)
 Bergbokke en takbokke (1-4)
 Die wilgedonkie (5-8)
 Die wilde bul (9-12)
 Die volstruis (13-18)
- Die perd (19-25)
 Die valk en die arend (26-30)
- 40 Jehovah vra Job nog vrae (1-24)
 Job erken dat hy niks meer kan sê nie (3-5)
 "Bevraagteken jy my geregtigheid?" (8)
 God beskryf Behemot se krag (15-24)
- 41 God beskryf indrukwekkende Leviatan (1-34)
- 42 Job se antwoord aan Jehovah (1-6)
 Drie vriende veroordeel (7-9)
 Jehovah seën Job (10-17)
 Job se seuns en dogters (13-15)

1 Daar was 'n man met die naam Job^a wat in die land Us gewoon het. Hy het 'n rein lewe gelei en was 'n man van integriteit.^b Hy het God gevrees en het vermy wat sleg is.^c **2** Hy het sewe seuns en drie dogters gehad. **3** Hy het 7 000 skape, 3 000 kamele, 1 000 beeste, 500 donkies* en baie slawe gehad. Hy was die belangrikste man in die Ooste.

4 Sy seuns het die gewoon-te gehad om 'n feesmaal te hou, elkeen op sy vasgestelde dag* by sy eie huis. Hulle het dan hulle drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink. **5** Ná elke reeks feesdae het Job hulle laat roep sodat hy hulle kon heilig. Dan het hy vroeg die oggend opgestaan en brandoffers^d vir elkeen van hulle geoffer. Want Job het gesê: "Miskien het my kinders gesondig en God in

1:1 *Beteken moontlik "iemand wat met vyandigheid behandel word". **1:1, 8** *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. **1:3** *Lett. "donkiemeries". **1:4** *Of "elkeen het 'n beurt gehad".

HFST. 1

a Ese 14:14
 Jak 5:10,11

b Ge 6:9

c Job 2:3

d Ge 8:20
 Ge 12:7,8

Tweede kol.

a Ge 18:17,19

b Ge 6:2
 De 33:2
 Job 38:7

c 1Kn 22:19
 Ps 103:20
 Da 7:13

d Sag 3:1
 Mt 4:1,3
 Lu 22:31
 Joh 13:2
 Op 12:9

e Job 2:1-3

f 1Pe 5:8

g Ge 6:9

h Op 12:10

i Ge 15:1
 Ge 31:7

j Ge 26:12

hulle hart vervloek." Dit is wat Job elke keer gedoen het.^a

6 En die dag het aangebreek waarop die seuns van die ware God^b ingekom het om hulle plek voor Jehovah^c in te neem, en Satan^d het ook tussen hulle ingekom.^e

7 Toe het Jehovah vir Satan gevra: "Waar kom jy vandaan?" Satan het Jehovah geantwoord: "Ek het op die aarde rondgeswerf en dit deursoek."^f **8** En Jehovah het vir Satan gesê: "Het jy my kneg Job opgemerk?* Daar is niemand soos hy op die aarde nie. Hy lei 'n rein lewe en is 'n man van integriteit."^g Hy vrees God en vermy wat sleg is." **9** Toe het Satan Jehovah geantwoord: "Maar het Job nie goeie rede om God te vrees nie?^h **10** Het u nie 'n beskermende muur om hom, sy huis en alles wat hy het, geplaas nie?ⁱ U seën alles wat hy doen,^j en sy vee het baie geword. **11** Maar raak net vir 'n verandering aan alles wat

1:6 *'n Hebreeuse uitdrukking wat na die engele verwys. **1:8** *Lett. "jou hart gerig op my kneg Job".

hy het, dan sal hy u beslis in u gesig vervloek." **12** Toe het Jehovah vir Satan gesê: "Goed, jy kan doen wat jy wil met alles wat hy het. Maar aan die man self mag jy nie raak nie!" Toe het Satan van Jehovah af weggegaan.^a

13 Op die dag toe sy seuns en sy dogters in die huis van hulle oudste broer geëet en wyn gedrink het,^b **14** het 'n boodskapper na Job toe gekom en gesê: "Die beeste was besig om te ploeg en die donkies het langs hulle gewei **15** toe die Sabeërs ons aangeval het en die diere gevat het, en hulle het die knegte met die swaard doodgemaak. Ek is die enigste een wat weggekóm het om u daarvan te vertel."

16 Terwyl hy nog gepraat het, het 'n ander boodskapper gekom en gesê: "Vuur van God het* uit die hemel gekom en die skape en die knegte verteer! Ek is die enigste een wat weggekóm het om u daarvan te vertel."

17 Terwyl hy nog gepraat het, het 'n ander boodskapper gekom en gesê: "Drie bendes van die Galdeërs^c het op die kamele afgestorm en hulle gevat, en hulle het die knegte met die swaard doodgemaak. Ek is die enigste een wat weggekóm het om u daarvan te vertel."

18 Terwyl hy nog gepraat het, het nog 'n boodskapper gekom en gesê: "U seuns en u dogters het in die huis van hulle oudste broer geëet en wyn gedrink. **19** Skielik het 'n sterk wind van die wildernis af gekom en die huis getref. Die huis het op die jongmense geval, en hulle het gesterf. Ek is die enigste een wat weggekóm het om u daarvan te vertel."

20 Toe het Job sy klere geskeur en sy hare afgeskeer. Hy

1:16 *Of moontlik "Weerlig het".

HFST. 1

a Job 2:7

b Job 1:4

c Ge 11:28

Tweede kol.

a Ge 3:19
Ps 49:17
Pr 5:15
Pr 12:7
1Ti 6:7

b Pr 5:19
Jak 1:17

HFST. 2

c Ge 6:2
De 33:2
Job 38:7

d Ps 103:20
Da 7:13

e Job 1:6-8

f 1Pe 5:8

g Ge 6:9

h Job 27:5

i Job 1:11

j Le 24:15, 16
Job 1:11, 12
Op 12:10

het op sy knieë geval en neergebuig **21** en gesê:

"Met niks het ek in die wêreld gekom en met niks sal ek daaruit gaan.^a

Jehovah het gegee,^b en Jehovah het weggeneem.

Laat die naam van Jehovah altyd geloof word."

22 Ten spyte van alles wat met Job gebeur het, het hy nie gesondig of God van iets verkeerdskuldig nie.

2 Later het die dag aangebreek waarop die seuns van die ware God^{*c} ingekom het om hulle plek voor Jehovah in te neem,^d en Satan het ook tussen hulle ingekom om sy plek voor Jehovah in te neem.^e

2 Toe het Jehovah vir Satan gevra: "Waar kom jy vandaan?" Satan het Jehovah geantwoord: "Ek het op die aarde rondgeswerf en dit deursoek."^f **3** En Jehovah het vir Satan gesê: "Het jy my kneg Job opgemerk?*" Daar is niemand soos hy op die aarde nie. Hy lei 'n rein lewe en is 'n man van integriteit.^g Hy vrees God en vermy wat sleg is. Hy hou nog steeds vas aan sy integriteit,^h selfs al probeer jy my oorreed om hom sonder rede te vernietig."ⁱ **4** Maar Satan het Jehovah geantwoord en gesê: "Vel vir vel. 'n Mens sal alles gee wat hy het in ruil vir sy lewe.*" **5** Maar raak net vir 'n verandering aan sy liggaam, dan sal hy u beslis in u gesig vervloek."^j

6 Toe het Jehovah vir Satan gesê: "Goed, jy kan met hom doen wat jy wil. Jy mag hom net nie doodmaak nie!" **7** Toe

2:1 *'n Hebreeuse uitdrukking wat na die engele verwys. 2:3 *Lett. "jou hart gerig op my kneg Job". ^aOf "onkrekbaarheid". Sien Woordelys. 2:4 *Of "siel".

het Satan van Jehovah af weggegaan en Job van kop tot tone met pynlike swere^a getref. **8** En Job het in die as gaan sit^b en hom met 'n potskerf gekrap.

9 Uiteindelik het sy vrou vir hom gesê: "Hou jy nog steeds vas aan jou integriteit?" Vervloek God en sterf!" **10** Maar hy het vir haar gesê: "Jy praat nou soos 'n vrou sonder verstand. Moet ons net die goeie dinge van die ware God aanvaar en nie ook die slegte dinge nie?"^c Ten spyte van alles wat met Job gebeur het, het hy nie met sy lippe gesondig nie.^d

11 Drie van Job se vriende* – E'lifas,^e die Temaniet, en Bildad,^f die Suhiet,^g en Sofar,^h die Naamatiet – het gehoor van al die slegte dinge wat met hom gebeur het. Toe het hulle uit hulle verskillende gebiede vertrek omdat hulle besluit het om mekaar te ontmoet en na Job toe te gaan om met hom te simpatiseer en hom te vertroos. **12** Toe hulle hom van ver af sien, het hulle hom nie herken nie. En hulle het hard begin huil en hulle klerre geskeur en stof in die lug en op hulle koppe gegooi.ⁱ **13** Hulle het sewe dae en sewe nagte by hom op die grond gesit. Hulle het nie 'n woord vir hom gesê nie, want hulle het gesien dat hy baie pyn het.^j

3 Toe het Job begin praat en die dag vervloek waarop hy gebore is.*^k **2** Job het gesê:

3 "Die dag waarop ek gebore is,^l moes nooit aangebreek het nie, ook nie die nag toe iemand gesê het: "n Seuntjie is gebore!" nie.

2:9 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. 2:11 *Of "kennisse", d.w.s. nie hegte vriende nie. 3:1 *Lett. "sy dag vervloek".

HFST. 2

a Job 30:30

b Jer 6:26

c Job 1:21

d Jak 5:10,11

e Job 4:1
Job 15:1
Job 22:1
Job 42:7,9f Job 8:1
Job 18:1
Job 25:1

g Ge 25:1,2

h Job 11:1
Job 20:1

i Ese 27:30,31

j Job 16:6

HFST. 3

k Jer 20:14,15

l Job 10:18,19
Jer 15:10

Tweede kol.

a Job 10:18,19

b Job 41:1,10
Ps 104:25,26

c Job 10:18

d Jer 20:17,18

e Pr 9:5,10

f Joh 11:11

4 Daardie dag moes donker gebly het.

God daar bo moes hom nie daaraan gesteur het nie.

Geen lig moes daarop geskyn het nie.

5 Mag die diepste donkerte* dit terugeis.

Mag 'n reënwoolk daaroor hang.

Mag 'n verskriklike donkerte daaroor kom.

6 Mag donkerheid daardie nag wegneem.^a

Mag dit nie onder die dae van die jaar getel word en een van die dae van die maande wees nie.

7 Ja! Mag daardie nag onvrugbaar word.

Mag geen vreugdevolle uitroep daarin gehoor word nie.

8 Mag dit vervloek word deur mense wat dae vervloek, deur mense wat die Leviatan*^b wakker kan maak.

9 Mag die sterre van sy skemer donker word.

Mag dit tevergeefs op die daglig wag en nie die strale van die dagbreek sien nie.

10 Want dit het nie gekeer dat ek gebore word^c en dat ek swaarkry nie.

11 Hoekom het ek nie by geboorte gesterf nie? Hoekom het ek nie gesterf toe ek uit die baarmoeder gekom het nie?^d

12 Hoekom was daar knieë om my op neer te sit en borste om my te voed?

13 Want anders sou ek in vrede gelê het^e en rustig geslaap het^f

3:5 *Of "donkerte en doodskaduwee".

3:8 *Verwys blykbaar na die krokodil of 'n ander groot, sterk waterdier.

- 14 saam met konings van die aarde en hulle raadgewers, wat vir hulle plekke gebou het wat nou verwoes is,*
- 15 of saam met prinse wat goud besit het, wie se huise vol silwer was.
- 16 Of hoekom was ek nie soos 'n doodgebore baba nie, soos kinders wat nooit die lig gesien het nie?
- 17 In die graf het selfs die goddeloses vrede, en dié wat moeg is, vind daar rus.^a
- 18 Daar geniet al die gevangenes vrede. Hulle hoor nie die stem van die een wat hulle dwing om te werk nie.
- 19 Daar is klein en groot gelyk,^b en die slaaf het nie meer 'n meester nie.
- 20 Hoekom gee God lig aan die een wat ly, en lewe aan mense wat bitter swaarkry?^c
- 21 Hoekom kan mense wat smag na die dood, nie net doodgaan nie?^d Hulle soek daarna, meer as na versteekte skatte.
- 22 Hulle is vol vreugde en is bly wanneer hulle die graf vind.
- 23 Hoekom gee God lig aan 'n man wat geen uitweg kan sien nie, aan 'n man wat deur God vasgekeer is?^e
- 24 Ek sug so baie, dit is soos my kos,^f en my gekreun^g is soos water wat aanhou loop.
- 25 Want wat ek gevrees het, het oor my gekom,

3:14 *Of moontlik “wat vir hulle verlate plekke gebou het”.

HFST. 3

a Ps 146:4
Pr 9:10
Jes 57:1, 2

b Job 30:23
Ps 49:10, 12
Pr 8:8
Pr 9:2

c 1Sa 1:10
2Kn 4:27

d Nu 11:11, 15
1Kn 19:3, 4
Job 7:15, 16
Jon 4:2, 3

e Job 12:14
Job 19:8

f Ps 102:9, 10

g Ps 22:1
Ps 38:8

Tweede kol.

HFST. 4

a Job 2:11
Job 15:1
Job 22:1
Job 42:7, 9

b Job 1:1

- en die dinge waarvoor ek bang was, het my getref.
- 26 Ek het geen vrede, geen stilte, geen rus nie, maar die probleme word net meer.”
- 4 E'lifas,^a die Temaniet, het toe gesê:
- 2 “Sal jy ongeduldig raak as iemand met jou probeer praat?
Want hoe kan ek stilbly?
- 3 Jy het baie mense reggehelp, en jy het die swakkes versterk.
- 4 As iemand gestruikel het, het jou woorde hom aangemoedig, en jy het dié wat wou val,^{*} versterk.
- 5 Maar noudat dit met jou gebeur het, is dit vir jou te veel.*
Noudat dit jou raak, is jy moedeloos.
- 6 Het jy dan nie vertrouwe eens jou diep respek vir God nie?
Het jy dan nie hoop omdat jy 'n weg van integriteit^{*b} volg nie?
- 7 Dink asseblief hieraan: Het enigiemand wat onskuldig is, al ooit gesterf?
Is die regverdiges al ooit vernietig?
- 8 Ek het gesien dat dié wat skadelike dinge plant* en dié wat moeilikheid saai, dit ook sal oes.
- 9 God blaas op hulle en hulle verdwyn, en deur sy woede sterf hulle.
- 10 Die leeu brul, en die jong leeu grom,

4:4 *Lett. “wankelende knieë”. 4:5 *Lett. “word jy moeg”. 4:6 *Of “onkreukbaarheid”. Sien Woordelys. 4:8 *Of “uitdink”.

- maar selfs die tande van sterk leeus* word gebreek.
- 11** Sonder prooi gaan leeus dood, en hulle kleintjies dwaal oral rond.
- 12** Iets is in die geheim vir my gesê, en dit is in my oor gefluister.
- 13** In die tyd wanneer mense diep slaap, wanneer visioene van die nag 'n mens ontstel,
- 14** het ek verskriklik bang geword, my hele liggaam het gebewe.
- 15** 'n Gees het voor my verbygegaan. My hare het regop gestaan.
- 16** Die gees het toe stilgestaan, maar ek kon nie uitmaak wat dit was nie. Ek het iets voor my gesien. Daar was 'n kalmte, en toe het ek 'n stem gehoor:
- 17** 'Kan 'n sterflike mens regverdiger wees as God? Kan 'n man reiner wees as sy Maker?'
- 18** Hy het geen vertroue in sy knegte nie, en hy vind fout met sy engele.*
- 19** Wat nog te sê van mense, wat soos huise van klei is, en wie se fondament in die stof is,^a wat makliker doodgedruk word as 'n mot!
- 20** Hulle word van die oggend tot die aand doodgedruk. Hulle verdwyn vir ewig sonder dat iemand dit eers agterkom.
- 21** Is hulle nie soos 'n tent waarvan die toue uitgeruk is nie? Hulle sterf sonder wysheid.

4:10 *Of "van jong maanhaarleeus".

4:18 *Of "boodskappers".

HFST. 4

a Ge 3:19

Tweede kol.

HFST. 5

a Spr 22:22

Am 5:12

- 5** "Roep asseblief! Is daar iemand wat jou antwoord? Watter een van die engele* sal jy vir hulp vra?
- 2** Want verbitterdheid sal 'n verstandelose doodmaak, en jaloesie sal 'n onverstandige mens vernietig.
- 3** Ek het gesien hoe die verstandelose sukses behaal, maar skielik tref rampspoed sy huis.
- 4** Sy kinders is nie veilig nie. Hulle regte word vertrap in die stadspoort,^a en daar is niemand om hulle te red nie.
- 5** Sy oes word geëet deur die een wat honger is. Dit word selfs tussen die dorings uitgehaal, en hulle besittings word afgevat.
- 6** Want rampspoed kom nie uit die stof op nie, en probleme groei nie uit die grond nie.
- 7** Want die mens word gebore om swaar te kry, so seker as wat vonke boontoe skiet.
- 8** Maar ek sou God vir hulp vra, en ek sou my saak aan God stel,
- 9** aan die Een wat groot en onverklaarbare dinge doen, wonderlike dinge wat nie getel kan word nie.
- 10** Hy laat dit reën op die aarde en voorsien water aan die veld.
- 11** Hy verhoog die hulpeloses, en hy gee redding aan die een wat mismoedig is.
- 12** Hy laat die planne van skelm mense misluk, sodat hulle nie suksesvol is nie.

5:1 *Lett. "heiliges".

- 13** Hy vang die wyses met hulle eie slinkse planne,^a sodat die planne van slinkse mense misluk.
- 14** In die dag ondervind hulle duisternis.
In die middel van die dag tas hulle rond asof dit nag is.
- 15** Hy red mense van die swaard wat uit hulle mond kom.
Hy red die armes uit die mag van die sterkes,
- 16** sodat daar hoop is vir die hulpeloses.
Maar goddelose monde word stilgemaak.
- 17** Gelukkig is die mens wat deur God gedissiplineer word.
Moet dus nie die dissipline van die Almagtige verwerp nie!
- 18** Want hy veroorsaak pyn, maar hy verbind die wond.
Hy slaan stukkend, maar hy genees met sy eie hande.
- 19** Hy sal jou keer op keer van ramspoed red, al tref dit jou ses of sewe keer.
- 20** In tye van hongersnood sal hy jou red van die dood, en in tye van oorlog sal hy jou red van die swaard.
- 21** Jy sal beskerm word teen die skadelike tong,^b en jy sal nie bang wees wanneer verwoesting kom nie.
- 22** Jy sal nie bekommerd wees oor vernietiging en honger nie, en jy sal nie bang wees vir die wilde diere van die aarde nie.
- 23** Want jou landerye sal nie vol klippe wees nie, en die wilde diere van die veld sal jou nie pla nie.

HFST. 5
a 1Kor 3:19

b Spr 12:18

Tweede kol.

HFST. 6
a Ps 31:9

b Pr 7:7
Jak 3:2

c Spr 18:14

d Job 24:5

- 24** Jy sal weet dat jou tent veilig* is, en wanneer jy na jou weiveld toe gaan, sal nie een van jou diere vermis word nie.
- 25** Jy sal baie kinders hê, en jou nakomelinge sal so baie wees soos die plante van die aarde.
- 26** Jy sal nog sterk wees wanneer jy doodgaan, soos graanbondels wat in die oestyd ingebring word.
- 27** Ons het dit ondersoek, en dit is so.
Luister en aanvaar dit.”
- 6** Toe het Job geantwoord:
- 2** “As my pyn^a maar net geweeg kon word en saam met my ramspoed op die weegskaal gesit kon word!
- 3** Want dit is swaarder as die sand van die see.
Daarom was my woorde wilde praatjies.*^b
- 4** Want die pyle van die Almagtige het my getref, en ek is vol van die gif daarvan.^c
God val my aan met vrees-aanjaende dinge.
- 5** Sal 'n wilde donkie^d balk as hy gras het, of sal 'n bees bulk as hy voer het?
- 6** Eet 'n mens smaaklose kos sonder sout, of is daar smaak in die sap van 'n malva?
- 7** Ek weier om daaraan te raak.
Dit is soos kos wat sleg geword het.
- 8** Ag, as ek maar kon kry wat ek vra

5:24 *Lett. “vrede”. 6:3 *Of “het ek oorhaastig gepraat, sonder om te dink”.

en as God maar net my wens sou vervul!

9 As God my maar wou uitwis, sy hand wou uitsteek en my doodmaak!^a

10 Selfs dit sou my vertrous. Ek sou van vreugde spring ten spyte van die pyn, want ek het nie die woorde van die Heilige verwerp nie.^b

11 Het ek die krag om te bly wag?^c

Wat lê vir my voor dat ek moet bly lewe?

12 Is ek so sterk soos klip? Of is ek van koper gemaak?

13 Hoe kan ek myself help as ek geen ondersteuning meer het nie?

14 Enigiemand wat nie liefde* aan sy medemens betoon nie,^d

vrees die Almagtige nie meer nie.^e

15 My vriende* is so onbetroubaar^f soos 'n winterstroom, soos die water van winterstrome wat opdroog.

16 Hulle vloei sterk weens ys en sneeu wat smelt.

17 Maar in die somerhitte verdwyn hulle. Wanneer dit warm word, droog hulle water op.

18 Hulle kronkel deur die woestyn, en dan verdwyn hulle.

19 Die karavane van Tema^g soek na hulle. Die reisigers van Skeba^h wag vir hulle.

20 Hulle is teleurgesteld, want hulle het gedink dat daar water sal wees.

HFST. 6

a Nu 11:11, 15
1Kn 19:3, 4
Jon 4:3

b Le 19:2
Ho 11:9

c Job 7:6, 7
Ps 103:15, 16

d Spr 3:3
Spr 19:22
Ho 6:6
Sag 7:9

e 1Jo 3:17

f Job 19:19
Ps 38:11

g Jes 21:13, 14

h Job 1:14, 15

Tweede kol.

a Job 13:4

b Ps 38:11

c Job 32:11, 12

d Spr 12:18
Spr 25:11

e Job 16:2, 3
Job 21:34

f Job 10:1

g Job 31:21, 22
Mal 3:5

h Ge 37:28

HFST. 7

i Job 14:5, 6
Ps 39:4

Hulle kom daar aan, en daar is niks.

21 Want dit is hoe julle vir my is.^a

Julle het gesien hoe sleg dit met my gaan, en julle is bang.^b

22 Het ek julle vir iets gevra, of het ek gevra dat julle namens my 'n geskenk aan iemand moet gee?

23 Het ek gevra om van 'n vyand gered te word of om van onderdrukkers bevry* te word?

24 Help my om te verstaan, en ek sal stilbly.^c Vertel my wat ek verkeerd gedoen het.

25 Eerlike woorde maak nie seer nie!^d

Maar hoe sal die dinge wat julle sê, my help?^e

26 Probeer julle my woorde kritiseer, 'n desperate man se woorde,^f wat deur die wind weggevaai word?

27 Julle sal selfs oor 'n weeskind lootjies trek^g en julle eie vriend verkoop!^h

28 Kyk nou na my, want ek sal nie vir julle lieg nie.

29 Dink asseblief weer – moet my nie veroordeel nie – ja, dink weer, want ek is onskuldig.*

30 Dink julle dat ek iets verkeerd gesê het? Dink julle nie ek weet dat daar fout is nie?

7 "Is die lewe van 'n sterflike mens nie soos slawearbeid nie?

En is sy dae nie soos dié van 'n gehuurde werker nie?ⁱ

2 Soos 'n slaaf smag hy na die skaduwee,

6:14 *Of "lojale liefde". 6:15 *Lett. "broers". 6:19 *Of "Die reisgeselskap van Sabeërs".

6:23 *Lett. "losgekoop". 6:29 *Of "ek is nog steeds regverdig".

en soos 'n gehuurde werker
wag hy vir sy loon.^a

- 3** So het ek maande van
nutteloosheid
en nagte van swaarkry
ontvang.^b
- 4** Wanneer ek gaan lê,
vra ek: 'Wanneer kan ek
opstaan?'^c
Maar die nag sleep stadig
verby, en ek rol rond tot-
dat dit oggend word.
- 5** My liggaam is bedek met
wurms en klonte grond.^d
My vel is vol rowe, en etter
loop daaruit.^e
- 6** My dae gaan vinniger verby
as wat 'n spoel in 'n weef-
raam beweeg,^f
en hulle eindig sonder
hoop.^g
- 7** Onthou dat my lewe kort is,^h
dat ek nooit weer geluk sal
ondervind nie.*
- 8** Die oog wat my nou sien,
sal my nie meer sien nie.
U oë sal my soek, maar ek
sal weg wees.ⁱ
- 9** Soos 'n wolk wat verdwyn,
so sal die een wat na die
Graf* gaan, nie terugkom
nie.^j
- 10** Hy sal nie na sy huis
terugkeer nie,
en hy sal nie meer by sy plek
onthou word nie.^k
- 11** Daarom sal ek nie stilbly nie.
Ek sal praat weens die pyn
in my hart.
Ek sal kla omdat ek
bitterlik ly!^l
- 12** Is ek die see of 'n see-
monster,
dat u 'n wag oor my moet
aanstel?
- 13** Wanneer ek sê: 'My rusbank
sal my vertroos.

7:7 *Lett. "dat my oog nooit weer die
goeie sal sien nie". 7:9 *Of "Sjeool".
Sien Woordelys.

HFST. 7

- a Le 19:13
De 24:15
b Ps 6:6
c Job 2:8
Job 30:17
d Job 30:19
e Job 30:30
f Ps 102:11
Ps 103:15
Ps 144:4
g Job 17:15
h Ps 89:47
Pr 2:11
i Job 7:21
Jak 4:14
j Job 10:21
Job 14:12
Ps 78:39
Pr 9:10
k Ps 103:15, 16
Ps 146:4
Pr 9:5
l 1Sa 1:10
Job 10:1
Spr 14:10

Tweede kol.

- a Job 3:20, 21
b Ge 27:46
1Kn 19:4
Job 10:1
Jon 4:3
c Ps 62:9
Ps 144:4
Pr 6:12
d Ps 8:4
Ps 103:15
Ps 144:3
e Job 23:10
f Job 14:6
g Job 34:21
Spr 5:21
Jer 16:17
Heb 4:13
1Pe 3:12
h Ge 3:19
Ps 104:29
Pr 12:7

HFST. 8

- i Job 18:1
Job 25:1
j Ge 25:1, 2
Job 42:9
k Job 11:3

My bed sal help om my
lyding te verlig,¹

- 14** dan maak u my bang met
drome
en ontstel u my met
visioene,
15 en daarom sal ek verkies
om te versmoor.
Ja, ek sal die dood verkies
bo hierdie liggaam
van my.^a
- 16** Ek haat my lewe;^b ek wil nie
meer lewe nie.
Laat my in vrede, want my
lewe gaan vinnig verby.^c
- 17** Wat is die mens dat u in
hom belangstel
en dat u aandag aan hom
skenk?^d
- 18** Hoekom ondersoek u hom
elke oggend
en toets u hom elke oomblik
van die dag?^e
- 19** Wil u nie wegkyk
en my vir 'n oomblik in
vrede laat nie?^f
- 20** As ek gesondig het, hoe
benadeel dit u, die Een wat
die mensdom dophou?^g
Hoekom het u my u teiken
gemaak?
Het ek vir u 'n las geword?
- 21** Hoekom vergewe u nie my
sonde
en verskoon u nie my
oortreding nie?
Want binnekort sal ek in
die stof gaan lê.^h
U sal my soek, maar ek sal
weg wees."
- 8** Bildad,ⁱ die Suhiet,^j het toe
gesê:
- 2** "Hoe lank sal jy aanhou om
sulke dinge te sê?^k
Jou woorde is maar net soos
'n sterk wind!
- 3** Sal God die reg verdraai,
of sal die Almagtige regver-
digheid verdraai?
- 7:16 *Of "my dae is soos 'n asem".

- 4 As jou kinders teen hom gesondig het, het hy hulle gestraf vir hulle sonde.
- 5 Maar as jy net op God sou vertrou^a en die Almagtige om genade sou smeek,
- 6 en as jy regtig rein en regverdig is,^b dan sal hy aandag aan jou skenk en jou weer die plek gee wat jy verdien.
- 7 En al het jy met min begin, sal jy baie in die toekoms hê.^c
- 8 Vra die vorige geslag, asseblief, en skenk aandag aan die dinge wat hulle vaders geleer het.^d
- 9 Want ons is maar gister gebore, en ons weet niks, want ons dae op die aarde gaan verby soos 'n skaduwee.
- 10 Sal hulle jou nie leer en jou vertel wat hulle weet nie?
- 11 Sal 'n papyrusplant hoog groei as daar nie 'n vlei is nie? Sal 'n riet hoog groei as daar nie water is nie?
- 12 Dit sal verdroog terwyl dit nog jonk is en nog nie gepluk kan word nie. Dit sal vinniger as enige ander plant verdroog.
- 13 Dit is wat gebeur met almal wat God vergeet, want die hoop van die goddelose* sal verdwyn.
- 14 Sy vertrou is tevergeefs. Die dinge waarop hy vertrou, is soos 'n spinnerak.
- 15 Hy sal teen sy huis leun, maar dit sal nie bly staan nie.

8:13 *Of "afvallige".

HFST. 8

a Job 5:8, 9
Job 11:13
Job 22:23

b Job 1:8

c Job 11:14, 17

d Job 15:17, 18

Tweede kol.

a Job 5:3

b Job 20:9

c Job 20:5

HFST. 9

d De 32:4
Ps 143:1, 2
Ro 3:23

e Job 40:2
Ro 9:20

f Job 36:5
Ps 104:24
Jes 40:26
Da 2:20

Hy sal daaraan probeer vashou, maar dit sal inmekaarval.

- 16 Hy is soos 'n groen plant in die son, en sy takkies spreid uit in die tuin.^a
- 17 Sy wortels is in 'n kliphoop ineengevleg. Hy probeer hom tussen die klippe vestig.
- 18 Maar wanneer hy uitgeruk word, sal die plek waar hy was, sê: 'Ek het jou nog nooit gesien nie.'^b
- 19 Ja, so sal hy verdwyn,^c en ander sal uit die grond opkom.
- 20 God sal dié wat hulle integriteit* behou, beslis nie verwerp nie, en hy sal ook nie goddelose mense ondersteun^d nie,
- 21 want hy sal jou weer laat lag, en jy sal weer van vreugde uitroep.
- 22 Dié wat jou haat, sal met skande bedek word, en die tent van die goddeloses sal nie meer bestaan nie."
- 9 Job het geantwoord:
- 2 "Ek weet dat dit so is. Maar hoe kan 'n mens reg wees in 'n saak teen God?^d
- 3 As iemand met Hom wil stry,^e sal daardie persoon nie eers een van Sy vrae kan beantwoord nie, selfs al vra Hy 'n duisend vrae.
- 4 Hy is baie wys* en baie sterk.^f

8:20 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. ^dLett. "by die hand vat".
9:3 *Of "Hom hof toe wil neem". 9:4 *Of "is wys van hart".

Wie kan hom teëstaan sonder om iets oor te kom?^a

- 5** Hy verskuif* berge sonder dat iemand daarvan weet. Hy keer hulle om in sy woede.
- 6** Hy skud die aarde uit sy plek, sodat sy pilare sidder.^b
- 7** Hy sê vir die son om nie te skyn nie, en hy keer dat die lig van die sterre deurkom.^c
- 8** Hy alleen sprei die hemel uit,^d en hy loop op die hoë golwe van die see.^e
- 9** Hy het die Asj-sterrebeeld,* die Kesil-sterrebeeld,[#] die Kima-sterrebeeld^{Δf} en die sterrebeelde van die suidelike hemel^g gemaak.
- 10** Hy doen groot en onverklaarbare dinge,^g wonderlike dinge wat te veel is om te tel.^h
- 11** Hy gaan by my verby, en ek kan hom nie sien nie. Hy gaan verder, maar ek kom dit nie agter nie.
- 12** Wie kan hom keer wanneer hy iets gryp? Wie kan vir hom sê: 'Wat doen u?'ⁱ
- 13** God sal sy woede nie terughou nie.^j Selfs die helpers van Rahab*^k sal voor hom neerbuig.
- 14** Hoe sal ek hom dan kan antwoord? Ek sal my woorde baie versigtig moet kies!

9:5 *Of "verwyder". 9:9 *Verwys moontlik na die Groot Beer-sterrebeeld (Ursa Major). #Verwys moontlik na die Orion-sterrebeeld. ΔVerwys moontlik na die Plejades-sterregroep in die Bul-sterrebeeld. ^gLett. "die binnekamers van die suide". 9:13 *Moontlik 'n groot seemonster.

HFST. 9

a Spr 14:16
Spr 28:14
Jes 30:1
Da 5:18, 20
Sag 7:12
Ro 2:5

b Ps 75:3

c Ge 1:16

d Ge 1:1
Ps 33:6
Jes 44:24

e Job 38:8-11

f Job 38:31
Am 5:8

g Jes 40:28
Ro 11:33

h Ps 40:5

i Da 4:35
Ro 9:20

j De 32:22

k Job 26:12

Tweede kol.

a Job 10:15

b Job 2:3
Job 34:5, 6

c Jes 40:28

d 1Jo 5:19

15 Selfs as ek reg was, sou ek hom nie antwoord nie.^a

Ek sou my regter* net om genade kon smEEK.

16 Sal hy my antwoord as ek na hom roep?

Ek glo nie dat hy na my stem sal luister nie,

17 want hy tref my met 'n storm

en laat my wonde sonder rede meer word.^b

18 Hy gee my nie kans om asem te skep nie.

Hy hou aan om my met bitter dinge te vul.

19 As dit gaan oor krag, is hy die sterkste.^c

En as dit gaan oor geregtigheid, sê hy: 'Wie kan 'n klag teen my inbring?'

20 As ek reg was, sou my eie mond my veroordeel.

Selfs as ek onskuldig is,* sal hy my skuldig verklaar.

21 Selfs as ek onskuldig is,* weet ek nie wat met my gaan gebeur nie.

Ek haat my lewe.

22 Dit maak geen verskil nie. Daarom sê ek:

'Hy vernietig die onskuldiges* sowel as die goddeloses.'

23 As mense skielik in 'n oorstroming doodgaan, sal hy lag oor die hopelose toestand van die onskuldiges.

24 Hy het die aarde aan die goddeloses oorgegee.^d

Hy sluit die oë van die regters.

As dit nie hy is nie, wie is dit dan?

9:15 *Of moontlik "my teenstander in 'n regspraak". 9:19 *Lett. "my dagvaar". 9:20, 21 *Of "my integriteit behou". Sien Woordelys. 9:22 *Of "dié wat hulle integriteit behou". Sien Woordelys.

25 My dae gaan vinniger verby as 'n hardloper.^a

Hulle vlieg verby sonder om die goeie te sien.

26 Hulle gly verby soos 'n rietbootjie,

soos 'n arend wat neerskiet op sy prooi.

27 As ek sê: 'Ek gaan ophou kla; ek sal glimlag en vrolik wees,'

28 dan sal ek nog bang wees as gevolg van al my pyne,^b en ek weet dat u my nie onskuldig sal verklaar nie.

29 Ek sal skuldig* bevind word. Ek kan maar net so wel tou oppgooi.^c

30 As ek my in sneeuwater was en as ek my hande met seep* was,^d

31 dan sal u my in 'n modderput gooi, sodat selfs my klere my sal haat.

32 Want hy is nie 'n mens soos ek dat ek hom kan antwoord nie, dat ons saam hof toe kan gaan nie.^e

33 Daar is niemand wat tussen ons kan oordeel nie, wat ons regter kan wees nie.

34 As hy ophou om my te slaan en ophou om my so bang vir hom te maak,^f

35 dan sal ek met hom praat sonder om te vrees, want ek kan nie praat as ek bang is nie.

10 "Ek haat my lewe.^g Ek sal kla oor my probleme.

Ek sal praat omdat ek bitterlik ly!

2 Ek sal vir God sê: 'Moet my nie skuldig verklaar nie.

HFST. 9

a Job 7:6
Ps 90:10
Jak 4:14

b Job 21:6

c Ps 73:13

d Jer 2:22
Mal 3:2

e Jes 45:9
Ro 9:20

f Job 13:21

HFST. 10

g Nu 11:11, 15
1Kn 19:3, 4
Job 7:16
Jon 4:3

Tweede kol.

a Job 14:15
Ps 138:8
Jes 64:8

b Ps 90:2

c Job 10:14

d Job 1:8
Ps 139:1

e De 32:39

f Ps 119:73
Ps 139:13-16

g Ge 2:7
Jes 45:9
Jes 64:8
Ro 9:21

h Ge 3:19
Ps 104:29
Pr 12:7

i Ps 139:15

j Ps 8:4

Sê vir my hoekom u teen my stry.

3 Vind u daarby baat om my te onderdruk, om die werk van u hande te haat,^a terwyl u die planne van die goddeloses goedkeur?

4 Het u oë soos dié van 'n mens?

Of sien u soos 'n mens sien?

5 Is u dae soos die dae van 'n mens, of is u jare soos dié van 'n mens?^b

6 dat u soek na wat ek verkeerd gedoen het en dat u heelyd na my sonde soek?^c

7 U weet dat ek nie skuldig is nie.^d En niemand kan my uit u hand red nie.^e

8 U het my met u eie hande gevorm en gemaak,^f maar nou wil u my heeltemal vernietig.

9 Onthou asseblief dat u my uit klei gemaak het,^g maar nou laat u my tot stof terugkeer.^h

10 Het u my nie in my ma geplaas en my daar gevorm nie?*

11 Met vel en vlees het u my bedek en met bene en senings het u my aanmekeargeweef.ⁱ

12 U het my lewe gegee en lojale liefde aan my betoon.

U het my lewe bewaar deur vir my te sorg.^j

13 Maar u het in die geheim beplan om hierdie dinge te doen.

Ek weet dat hierdie dinge van u af kom.

10:10 *Lett. "Het u my nie soos melk uitgiet en my soos kaas laat dik word nie".

9:29 *Lett. "godeloos". 9:30 *Of "loog".

- 14** As ek sou sondig, sou u my dophou,^a en u sou nie my oortreding vergewe nie.
- 15** As ek skuldig is, is daar geen hoop vir my nie! En selfs as ek onskuldig is, kan ek nie my kop oplig nie,^b want my oneer en lyding is te groot.^c
- 16** As ek my kop oplig, sal u my jag soos 'n leeu^d en weer u krag teen my gebruik.
- 17** U bring nuwe getuies teen my, en u woede teen my raak groter, terwyl die een probleem ná die ander oor my kom.
- 18** Hoekom het u toegelaat dat ek gebore word?^{*e} Ek moes gesterf het voordat enigiemand my kon sien.
- 19** Dit sou gewees het asof ek nooit bestaan het nie. Ek sou reguit van die baarmoeder na die graf gegaan het.^f
- 20** Het ek nie min dae oor nie?^g As hy my maar net in vrede wou laat en van my wou wegkyk, sodat ek verligting kan vind^{*g}
- 21** voordat ek weggaan – en ek sal nie terugkom nie^h – na die land van diep donkerte,^{*i}
- 22** na die land van digte duisternis, 'n land van diep skaduwee en wanorde, waar selfs die lig soos die duisternis is.”

10:18 *Of “u my uit die baarmoeder laat kom”. **10:20** *Of “'n bietjie vreugde kan hê”. **10:21** *Of “van donkerte en doodskaduwee”.

HFST. 10

a Ps 139:1

b Job 9:15

c Ps 119:153

d Jes 38:13

e Job 3:11
Jer 20:18f Job 7:6
Job 14:1, 2
Ps 39:5, 6
Ps 103:15, 16

g Job 9:27

h Job 7:9
Ps 115:17
Jes 38:11i Job 38:17
Ps 88:12
Pr 9:10

Tweede kol.

HFST. 11

a Job 20:1
Job 42:9

b Job 12:4

c Job 6:10

d Job 6:29
Job 10:7

e Job 38:1

11 Sofar,^a die Naämatiet, het toe gesê:

- 2** “Dink jy dat niemand jou sal antwoord ná alles wat jy gesê het nie? Of bewys die feit dat iemand baie praat, dat hy onskuldig is?
- 3** Sal jou leë praatjies mense laat stilbly? Sal jy nie bestraf word vir jou spottende woorde nie?^b
- 4** Want jy sê: ‘My beskouing is reg,^c en ek is rein in God se oë.’^d
- 5** Maar as God net wou praat en jou wou antwoord!^e
- 6** Dan sou hy jou vertel wat die geheime van wysheid is, want praktiese wysheid het baie fasette. Dan sou jy besef dat God party van jou oortredings oorgesien het.
- 7** Kan jy die diep dinge van God ontdek of alles omtrent die Almagtige uitvind?
- 8** Dit is hoër as die hemel. Hoe kan jy dit bereik? Dit is dieper as die Graf.* Hoe kan jy dit leer ken?
- 9** Dit is groter as die aarde en breër as die see.
- 10** As hy verbygaan en iemand gevange neem en hom hof toe vat, wie kan hom dan keer?
- 11** Want hy weet wanneer mense bedrieglik is. Sal hy nie aandag skenk as hy sien dat mense slegte dinge doen nie?
- 12** Maar net soos 'n wilde-donkie nie aan 'n mens geboorte kan gee nie,*

11:8 *Of “Sjeool”. Sien Woordelys.

11:12 *Of “nie as 'n mens gebore kan word nie”.

sal 'n mens sonder verstand
nie kan verstaan nie.

- 13** As jy maar net jou hart
wou reinig
en jou hande in gebed na
hom toe wou uitstrek.
- 14** As jy slegte dinge doen,
moet jy ophou daarmee.
En moenie onregverdigheid
in jou tente toelaat nie.
- 15** Want dan sal jy jou kop kan
oplig sonder om skaam
te voel.
Jy sal sterk wees en nie
vrees nie.
- 16** Want dan sal jy jou probleme
vergeet.
Dit sal vir jou wees soos wa-
ters wat verbygevloei het.
- 17** Jou lewe sal meer lig hê as
wat daar in die middel
van die dag is.
Selfs die donkerte sal soos
die oggendlig wees.
- 18** Jy sal vol vertroue wees
omdat jy hoop het.
Jy sal kyk of alles om jou in
orde is en veilig kan slaap.
- 19** Jy sal gaan lê en vir nie-
mand bang wees nie.
En baie mense sal jou
goedkeuring wil hê.
- 20** Maar die goddeloses sal
geen uitweg sien nie,
en hulle sal nêrens kan
vlug nie.
Die dood sal hulle enigste
hoop wees.”^a
- 12** Toe het Job geantwoord:
2 “Ja, julle weet mos
alles,
en met julle sal die wysheid
uitsterf!
- 3** Maar ek het ook verstand.*
Julle is nie beter as ek nie.
Wie weet nie hierdie dinge
nie?
- 4** My vriende lag my uit,^b

12:3 *Lett. “'n hart”.

HFST. 11

a Job 8:13, 14
Job 18:5, 14

HFST. 12

b Job 16:10
Job 17:2
Job 30:1
Ps 22:7
Heb 11:36

Tweede kol.

a Ps 91:15
Mi 7:7

b Ps 37:35
Ps 73:12
Jer 12:1

c Job 21:7, 9

d Nu 16:22
Ps 104:30
Pr 12:7
Ese 18:4

e Job 34:3

f Job 32:6, 7

g Job 9:4
Da 2:20

h Job 36:5
Ps 147:5
Jes 40:14
Jer 10:12
Ro 11:34

i Jud 7

j Ge 8:1
Eks 14:21
Na 1:4

k Ge 6:17

want ek smeeek God om my
te help.^a
'n Regverdige en onskuldige
man word uitgelag.

- 5** Die een wat geen bekom-
mernis het nie, sien neer
op dié wat probleme
ondervind.
Hulle dink dat probleme net
dié tref wat nie stewig op
hulle voete staan nie.
- 6** Daar is vrede in die tente
van rowers^b
en veiligheid vir dié wat
God kwaad maak,^c
vir dié wat hulle god in hulle
hande hou.
- 7** Maar vra asseblief die diere,
en hulle sal jou leer.
Vra ook die voëls van die he-
mel, en hulle sal jou vertel.
- 8** Of luister na* die aarde,
en dit sal jou leer.
En die visse van die see sal
dit aan jou bekend maak.
- 9** Wie van hulle weet nie
dat Jehovah se hand dit
gedoen het nie?
- 10** In sy hand is die lewe van
elke lewende ding
en die gees* van elke mens.^d
- 11** Toets die oor nie woorde
soos die tong* kos proe nie?^e
- 12** Word wysheid nie by die
bejaardes gevind nie,^f
en kom insig nie met die
ouderdom nie?
- 13** By hom is wysheid en mag.^g
Hy het raad en insig.^h
- 14** As hy iets afbreek, kan
niemand dit opbou nie.ⁱ
As hy iets sluit, kan niemand
dit oopmaak nie.
- 15** As hy die water terughou,
droog alles op.^j
As hy dit uitstuur, word die
aarde oorstrom.^k

12:8 *Of moontlik “praat met”. 12:10
*Of “asem”. 12:11 *Lett. “verhemel-
te”.

- 16** Hy het krag en praktiese wysheid.^a
Aan hom behoort die een wat mislei en die een wat mislei word.
- 17** Hy laat raadgewers kaalvoet loop,^{*} en hy maak van regters dwase.^b
- 18** Hy neem konings se gesag weg^c en laat hulle slawe word.
- 19** Hy laat priesters kaalvoet loop^d en verwyder magtiges uit hulle posisie.^e
- 20** Hy maak betroubare raadgewers stil en neem die wysheid van ou manne* weg.
- 21** Hy bring skande oor heersers,^f en hy maak magtiges swak.
- 22** Hy openbaar diep dinge wat in die donkerte is,^g en hy bring diep donkerte na die lig.
- 23** Hy laat nasies magtig word, sodat hy hulle kan vernietig.
Hy laat nasies groot word, sodat hy hulle in ballingskap kan laat gaan.
- 24** Hy neem die insig* van volksleiers weg en laat hulle rond dwaal in 'n wildernis sonder paai.^h
- 25** Hulle tas in die duisternis rond,ⁱ waar daar geen lig is nie.
Hy laat hulle rond dwaal soos dronk mense.^j
- 13** “Ja, ek het dit alles gesien.
Ek het dit gehoor en verstaan.
2 Hy julle weet, weet ek ook.
Julle is nie beter as ek nie.

12:17 *Of “Hy stroop raadgewers van alles”. 12:20 *Of “ouermanne”. 12:24 *Lett. “hart”.

HFST. 12

a Ro 1:20

b Jes 29:14
Jes 44:25

c Da 2:21

d Jer 14:18

e Lu 1:52

f Ps 107:40

g Da 2:22

h Ps 107:40

i De 28:29

j Ps 107:27

Tweede kol.

HFST. 13

a Job 23:3, 4
Job 31:35

b Job 16:2

c Spr 17:28
Jak 1:19d Ps 139:23
Jer 17:10e Ps 50:20, 21
Jak 2:9f Job 19:25
Ps 23:4g Eks 15:2
Ps 27:1
Jes 12:2

- 3** Ek sou eerder met die Almagtige self wou praat.
Ek wil my saak aan God stel.^a
- 4** Maar julle versprei leuens oor my.
Julle is almal nikswerd dokters.^b
- 5** As julle maar net wou stilbly!
Dit sou toon dat julle wys is.^c
- 6** Luister asseblief na my argumente,
en skenk aandag aan my smeking.
- 7** Sal julle onregverdige dinge in God se naam sê?
En sal julle bedrieglik praat in sy naam?
- 8** Wil julle sy kant kies?*
Wil julle die ware God probeer verdedig?
- 9** Wat sal van julle word as hy julle ondersoek?^d
Sal julle hom kan flous soos julle 'n mens flous?
- 10** Hy sal julle beslis bestraf as julle in die geheim probeer kant kies.^e
- 11** Sal sy grootheid julle nie bang maak nie,
en sal vrees vir hom nie oor julle kom nie?
- 12** Julle wyse woorde is soos as.
Julle verdediging is so breekbaar soos klei.
- 13** Bly stil sodat ek kan praat.
Ek is bereid om die gevolge daarvan te dra!
- 14** Hoekom waag ek my lewe en stel ek dit in gevaar?
- 15** Selfs al wil hy my doodmaak, sal ek op hom wag.^f
Ek sal my saak aan hom stel.
- 16** Hy sal dan my redding word,^g

13:8 *Of “Sal julle hom partydig behandel”.

want geen goddelose persoon* kan voor hom verskyn nie.^a

17 Luister mooi na my woorde. Skenk aandag aan wat ek sê.

18 Kyk, ek het my regspraak voorberei.

Ek weet dat ek reg is.

19 Wie kan met my stry? Ek sal doodgaan as ek moet stilbly!*

20 Ek wil net twee dinge van u vra, o God, sodat ek nie vir u hoef weg te kruip nie:

21 Neem u swaar hand ver van my af weg, en moenie dat vrees vir u my verlam nie.^b

22 Roep en ek sal antwoord, of laat my praat, en antwoord my.

23 Watter oortredings en sondes het ek gepleeg? Sê vir my wat ek verkeerd gedoen het en hoe ek gesondig het.

24 Hoekom draai u weg van my^c en beskou u my as u vyand?^d

25 Wil u 'n blaar wat rondge-waai word, bang maak, of 'n grasstoppel agternasit?

26 Want u hou aan om beskuldigings teen my op te skryf, en u straf my vir die sondes van my jeug.

27 U het my voete in die blok gesit. U ondersoek al my paaie, en u kyk na elke tree wat ek gegee het.

28 Die mens* vergaan soos iets wat wegvrot, soos 'n kleed wat deur motte gevreet word.

13:16 *Of "geen afvallige". 13:19 *Of moontlik "As iemand kan, sal ek stilbly en sterf". 13:28 *Lett. "Hy", ver-wys moontlik na Job.

HFST. 13

a Job 27:8
Job 36:13
Jes 33:14

b Job 9:34, 35
Job 33:6, 7

c Ps 10:1
Ps 13:1
Ps 44:24

d Job 16:9
Job 19:11
Job 33:8-11

Tweede kol.

HFST. 14

a Ps 39:5, 6
Jak 4:14

b Ge 3:19
Ge 47:9
Ps 90:10
Pr 2:23

c Ps 103:15, 16
Jes 40:6
Jak 1:10, 11
1Pe 1:24

d 1Kr 29:15
Ps 102:11
Ps 144:4

e Ps 143:2

f Ge 5:3
Ps 51:5
Ro 5:12

g Ps 39:4

h Ps 39:13

i Pr 3:19, 20
Pr 9:10

j Pr 9:5
Pr 12:5

14 "Die lewe van 'n mens is kort^a en vol probleme.^b

2 Hy verskyn soos 'n bloeisel, en dan verlep hy.^{*c}

Hy vlug soos 'n skaduwee en verdwyn.^d

3 Ja, u hou hom dop, en u bring hom* voor die hof.^e

4 Kan 'n sondige persoon geboorte gee aan iemand sonder sonde?^f

Nee!

5 Sy dae is vasgestel. U het die getal van sy maande bepaal.

Hy kan nie verder gaan as die perk wat u vir hom gestel het nie.^g

6 U moet van hom af wegkyk sodat hy kan rus, totdat hy sy dag se werk voltooi, soos 'n gehuurde werker.^h

7 Want selfs vir 'n boom is daar hoop. As hy afgekap word, sal hy weer uitspruit, en sy takkies sal aanhou groei.

8 As sy wortel oud word in die grond en sy stomp in die aarde sterf,

9 sal hy uitspruit as hy water ruik, en hy sal takke voortbring soos 'n nuwe plant.

10 Maar 'n man sterf en lê magtelos. Wanneer 'n mens sy laaste asem uitblaas, waar is hy?ⁱ

11 Waters verdwyn uit die see, en 'n rivier loop leeg en droog op.

12 So gaan lê die mens, en hy staan nie op nie.^j

14:2 *Of moontlik "en word afgesny".

14:3 *Lett. "my".

Solank as wat die hemel bestaan, sal hy nie wakker word nie, en hy sal nie weer wakker gemaak word nie.^a

13 Ag, as u my maar in die Graf* wou wegsteek^b en my daar wou hou totdat u nie meer kwaad is nie. As u maar vir my 'n tyd wou vasstel en aan my wou dink!^c

14 As 'n man sterf, kan hy weer lewe?^d Al die dae wat vir my vasgestel is,* sal ek wag, totdat my verligting kom.^e

15 U sal roep, en ek sal u antwoord.^f Na die werk van u hande sal u verlang.*

16 Maar nou hou u al my treë dop. U kyk net na my sondes.

17 My oortredings is in 'n sak verseël, en u verseël dit met gom.

18 Net soos 'n berg ineens stort en verbrokkel en 'n rots verskuif word,

19 net soos water klippe verweer en 'n sterk stroom die grond wegspoel, so het u die hoop van die mens vernietig.

20 U oorweldig hom met u krag totdat hy doodgaan.^g U verander sy voorkoms en u stuur hom weg.

21 Sy seuns word geëer, maar hy weet dit nie. Hulle word onbelangrik, maar hy besef dit nie.^h

22 Slegs terwyl hy lewe, voel hy pyn. Slegs terwyl hy lewe, treur hy."

14:13 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.
14:14 *D.w.s. in die graf. 14:15 *Of "vurig verlang".

HFST. 14

a Ps 13:3
Joh 11:11
Han 7:59, 60

b 1Sa 2:6
Jes 57:1, 2

c Lu 23:42
Joh 5:28, 29
Heb 11:35

d Joh 11:25
Han 26:8
1Kor 15:12
Op 20:13

e Job 19:25

f Da 12:13
Joh 5:28, 29
Joh 11:43, 44

g Pr 8:8
Jes 57:16

h Pr 9:5, 6

Tweede kol.

HFST. 15

a Job 2:11
Job 4:1

b Job 42:8

c Job 13:2
Job 16:2

d Job 32:6

15 E'lifas,^a die Temaniet, het toe geantwoord:

2 "Sal 'n wyse mens met leë argumente antwoord, of sal hy sy maag met die oostewind vul?

3 Teregwysing met woorde alleen is nutteloos, en om net te praat, beteken niks nie.

4 Want jy breek vrees vir God af, en jy veroorsaak dat daar nie aan God gedink word nie.

5 Dit is as gevolg van jou oortreding dat jy so praat, en jy kies slinkse woorde.

6 Jou eie mond veroordeel jou, en nie ek nie. Jou eie lippe getuig teen jou.^b

7 Is jy die eerste mens wat gebore is, of is jy voor die heuwels gebore?

8 Luister jy na die geheime raad van God, of dink jy dat net jy wysheid het?

9 Wat weet jy wat ons nie weet nie?^c Wat verstaan jy wat ons nie verstaan nie?

10 Dié met grys hare sowel as die bejaardes is by ons,^d manne wat baie ouer is as jou pa.

11 Is dit nie vir jou genoeg dat God jou vertroue nie, of dat woorde op 'n mooi manier aan jou oorgedra word nie?

12 Hoekom werk jy jou so op, en hoekom is jou oë so vol woede?

13 Jy word kwaad vir God, en jy laat sulke woorde uit jou mond kom.

14 Hoe kan 'n blote mens rein wees?

- En hoe kan iemand wat uit 'n vrou gebore is, regverdig wees?^a
- 15** God het nie eers vertrou in sy engele* nie, en selfs die hemele is nie rein in sy oë nie.^b
- 16** Wat nog te sê 'n mens wat afskuwelik en sleg is,^c 'n man wat slegtheid indrink soos water!
- 17** Ek sal jou iets leer. Luister na my!
Ek sal vertel wat ek gesien het.
- 18** Dinge wat wyse manne by hulle vaders gehoor het,^d dinge wat hulle nie weggesteek het nie.
- 19** Hulle was die enigste inwoners van die land, en geen vreemdelinge het tussen hulle ingekom nie.
- 20** 'n Goddelose persoon ly solank as wat hy bestaan. Ja, die onderdrukker ly solank as wat hy lewe.
- 21** Hy hoor geluide wat hom laat skrik.^e
In 'n tyd van vrede val rowerbendes hom aan.
- 22** Hy glo nie dat hy uit die duisternis sal kom nie.^f 'n Swaard wag op hom.
- 23** Hy dwaal rond op soek na kos* - waar is dit?
Hy weet goed dat die dag van duisternis naby is.
- 24** Vrees en angstigheid oorweldig hom.
Dit storm op hom af soos 'n koning wat gereed is om aan te val.
- 25** Want hy lig sy hand teen God self,
en hy probeer die Almagtige uitdaag.

15:15 *Lett. "heiliges". 15:23 *Lett. "brood".

HFST. 15

a Job 25:4

b Job 25:5, 6
Job 42:7

c Job 4:18, 19

d Job 8:8

e Job 18:11
Job 20:25

f Job 18:12

Tweede kol.

a Job 4:9

b Job 22:15, 16

c Job 8:11-13

- 26** In sy hardkoppigheid storm hy op Hom af met sy dik, sterk skild.
- 27** Sy gesig is vet, en sy heupe is dik van die vet.
- 28** Hy woon in stede wat vernietig gaan word, in huise waarin niemand sal woon nie, huise wat kliphope sal word.
- 29** Hy sal nie ryk word nie, en sy rykdom sal nie meer word nie,
hy sal nie oral in die land besittings hê nie.
- 30** Hy sal nie uit die duisternis kom nie.
'n Vlam sal sy takkie* laat opdroog.
Hy sal sterf deur die geblaas van God se mond.^a
- 31** Hy moenie afdwaal en op waardelose dinge vertrou nie,
want hy sal waardelose dinge in ruil daarvoor kry.
- 32** Dit sal gebeur voordat sy dag aanbreek,
en sy takke sal nooit goed groei nie.^b
- 33** Hy sal soos 'n wingerdstok wees wat sy groen druiwe afgooi,
en soos 'n olyfboom wat sy bloeisels afgooi.
- 34** Want die vergadering van die goddeloses* lewer niks op nie,^c
en die tente van dié wat omkoopgeskenke aanvaar, word deur vuur verteer.
- 35** Hulle beplan verkeerde dinge, en daarom doen hulle wat sleg is, en hulle hart bring bedrog voort."

15:30 *D.w.s. enige hoop op herstel.

15:34 *Of "afvalliges".

- 16** Job het toe geantwoord:
2 “Sulke dinge het ek al baie gehoor. Julle is almal hopelose vertroosters!^a
3 Sal hierdie leë woorde ooit tot 'n einde kom? Hoekom antwoord jy* my op hierdie manier?
4 Ek sou ook soos julle kon praat. As julle in my situasie was,* sou ek julle kon kritiseer en my kop vir julle kon skud.^b
5 Maar ek sou julle eerder versterk het met my woorde. En ek sou julle vertroos het sodat julle verligting kon kry.^c
6 As ek praat, verlig dit nie my pyn nie,^d en as ek ophou praat, word my pyn ook nie minder nie.
7 Maar nou het hy my moeg gemaak.^e Hy het my hele huisgesin* verwoes.
8 U het my in u greep, en my toestand bewys dit. Ek is so maer dat my toestand teen my getuig.
9 Sy woede het my verskeur, en hy beskou my as 'n vyand.^f Hy is baie kwaad* vir my. My vyand kyk my woedend aan.^g
10 Mense het hulle monde wyd oopgemaak,^h en hulle het my gespot en geklap. In groot getalle kom hulle teen my.ⁱ

16:3 *D.w.s. Elifas. **16:4** *Of “As julle siel in die plek van my siel was”. **16:7** *Of “dié wat by my vergader”. **16:9** *Lett. “kniers op sy tande”.

HFST. 16

a Job 13:4, 5
Job 19:2, 3

b Ps 109:25
Mt 27:39

c Spr 27:9
Mt 7:12
Ro 12:15
1Pe 3:8

d Job 2:13

e Job 7:3

f Job 10:16

g Job 33:8-10

h Ps 22:13

i Ps 35:15

Tweede kol.

a Ps 27:12

b Job 1:12, 17

c Job 7:20

d Ps 73:21

e 1Kn 21:27
2Kn 6:30

f Job 30:19
Ps 7:5

g Ps 6:6
Ps 31:9
Klg 1:16

h Ge 4:8, 10
Ps 72:14

i Job 12:4

j Ps 40:1
Ps 142:2

k Job 31:35

- 11** God lewer my oor aan jong seuns, en hy gooi my in die hande van die goddeloses.^a
12 Ek het geen bekommernisse gehad nie, maar hy het my gebreek.^b Hy het my agter die nek gegryp en my stukkend geslaan. Toe het hy my sy teiken gemaak.
13 Sy boogskutters omring my.^c Sy pyle veroorsaak diep wonde,^d en hy voel nie jammer vir my nie. Hy gooi my gal op die grond uit.
14 Ek is soos 'n muur waardeur hy herhaaldelik breek. Hy storm op my af soos 'n soldaat.
15 Ek het saklinne aanmekaar-gewerk om my te bedek.^e En ek het my waardigheid* in die stof begrawe.^f
16 My gesig is rooi gehuil,^g en daar is donker kringe* onder my oë,
17 al het ek niemand seergemaak nie en al is my gebed opreg.
18 Mag die aarde nie my bloed bedek nie!^h Laat my bloed namens my uitroep!
19 Selfs nou is my getuie in die hemel. Hy wat vir my kan getuig, is in die hoogtes.
20 My vriende bespot myⁱ terwyl ek voor God huil.*^j
21 Laat iemand 'n middelaar wees tussen my en God, soos in 'n saak tussen twee mense.^k

16:13 *Lett. “Hy deurboor my nierre”. **16:15** *Of “krag”. Lett. “horing”. **16:16** *Of “doodskaduwee”. **16:20** *Of moontlik “slapeloos na God kyk”.

22 Want daar is min jare vir my oor voordat ek weggaan en nooit weer terugkeer nie.^a

17 "My gees is gebreek, my dae is verby.

Die begraafplaas wag op my.^b

2 Spotters omring my,^c en ek sien hulle opstandigheid.

3 Aanvaar asseblief wat ek as waarborg gee* en hou dit by u. Wie anders sal my hand skud en vir my borg staan?^d

4 Want u het die harte van hierdie manne vir insig gesluit.^e Daarom verhoog u hulle nie.

5 Iemand bied dalk aan om met sy vriende te deel, terwyl hy nie genoeg het vir sy eie kinders nie.

6 God het my 'n bespotting* onder die volke gemaak.^f Daar word in my gesig gespoeg.^g

7 My oë word dof van angs,^h en ek is net vel en been.

8 Die opregtes staar verbaas na my. Die onskuldiges is ontsteld oor die goddeloses.*

9 Die regverdige bly op die regte weg,ⁱ en die een met rein hande word sterker.^j

10 Maar julle kan almal kom en weer begin stry, want ek het niemand onder julle gevind wat wys is nie.^k

11 My dae is verby.^l Van my planne, die begeertes van my hart, is daar niks oor nie.^m

17:3 *Of "Aanvaar asseblief my pand".

17:6 *Lett. "n spreekwoord". 17:8 *Of "afvalliges".

HFST. 16

a Job 7:9
Job 14:10
Pr 12:5

HFST. 17

b Ps 88:3, 4
Jes 38:10

c Ps 35:16
Heb 11:36

d Spr 17:18

e 2Sa 17:14
Jes 6:10
Mt 11:25

f Ps 69:11, 12

g Job 30:9, 10

h Job 16:16
Ps 6:7
Ps 31:9

i Ps 119:165

j Ps 24:3, 4
Ps 84:5, 7

k Job 6:29

l Job 7:6
Job 9:25
Jes 38:10

m Jak 4:13, 14

Tweede kol.

a Pr 12:5, 7

b Job 10:21, 22

c Ps 49:7, 9
Ps 143:7

d Job 7:6
Job 14:19
Job 19:10

e Ge 3:19
Job 3:19

HFST. 18

f Job 2:11
Job 8:1

g Ps 73:22

h Job 8:13, 14
Job 11:20

12 Hulle maak asof die nag dag is, en hulle sê: 'Die lig moet naby wees, want dit is donker.'

13 As ek 'n bietjie langer wag, sal die Graf* my huis word.^a

Ek sal my lêplek in die duisternis maak.^b

14 Ek sal vir die Graf^c sê: 'Jy is my pa!' en vir die wurms: 'My ma en my suster!'

15 Waar is my hoop dan?^d Kan enigiemand hoop vir my sien?

16 My hoop sal afdaal na die geslote poorte van die Graf* wanneer ons almal saam in die stof afdaal.^e

18 Bildad,^f die Suhiet, het toe geantwoord:

2 "Wanneer gaan jy ophou om so te praat? Toon 'n bietjie insig en dan kan ons praat.

3 Hoekom moet ons deur jou as diere^g en as dom* mense beskou word?

4 Al verskeur jy jouself in jou woede, die aarde sal nie ter wille van jou verlate word nie, en 'n rots sal ook nie uit sy plek skuif nie.

5 Ja, die lig van die goddeloses sal doodgaan, en die vlam van sy vuur sal ophou brand.^h

6 Die lig in sy tent sal beslis donker word, en die lamp wat op hom skyn, sal doodgaan.

7 Sy vinnige treë sal al hoe stadiger word,

17:13, 16 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. 18:3 *Of moontlik "onrein".

en sy eie planne sal hom
laat val.^a

- 8** Want sy voete sal hom na
'n vangnet lei,
en hy sal daarin beland.
- 9** Sy voet sal in 'n strik trap.
Hy sal daarin vasgevang
word.^b
- 10** 'n Vangtou lê waar hy dit
nie kan sien nie,
en 'n strik lê op sy pad.
- 11** Gevaar dreig aan alle kante,^c
en dit is kort op sy hakke.
- 12** Sy krag verdwyn,
en ramspoed^d sal hom
onvas op sy voete maak.*
- 13** Sy vel word weggevreet.
Die dodelikste siekte verteer
sy ledemate.
- 14** Hy word uit die veiligheid
van sy tent weggeruk^e
en na die koning van ver-
skrikking gesleep.*
- 15** Vreemdelinge* sal in
sy tent woon.
Swael sal oor sy huis
gestrooi word.^f
- 16** Onder hom sal sy wortels
verdroog,
en bo hom sal sy takke
verdroog.
- 17** Mense sal hom heeltemal
vergeet,
en niemand op straat sal
sy naam ken nie.
- 18** Hy sal van die lig na die
duisternis gedryf word
en uit die wêreld weggejaag
word.
- 19** Hy sal geen kinders of nage-
slag onder sy volk hê nie,
nie 'n enkele oorlewende in
die plek waar hy woon nie.
- 20** Wanneer sy dag kom, sal die
mense in die Weste geskok
wees

18:12 *Of “mank laat loop”. 18:14

*Of “sterf 'n verskriklike dood”. 18:15

*Lett. “lets wat nie syne is nie”.

HFST. 18

a Job 5:13

b Job 5:5
Job 22:5,10

c Job 15:21
Job 20:25

d Job 15:23

e Job 11:20

f De 29:22, 23

Tweede kol.

HFST. 19

a Ps 42:10

b Ps 55:21
Spr 12:18

c Spr 18:24

d Ps 22:2
Hab 1:2

e Lu 18:7

f Job 3:23
Ps 88:8

en sal die mense in die
Ooste vol vrees wees.

- 21** Dit is wat gebeur met die
tente van 'n oortreder
en met die plek van iemand
wat God nie ken nie.”
- 19** Job het toe geantwoord:
2 “Hoe lank sal julle my
siel* nog irriteer^a
en my met woorde
seermaak?^b
- 3** Julle het my al soveel keer
beledig.*
Julle is nie eers skaam om
my so sleg te behandel
nie.^c
- 4** En as ek wel 'n fout gemaak
het,
sal ek die gevolge daarvan
dra.
- 5** As julle aanhou om op my
neer te sien
en om te sê dat ek verdien
om so verneder te word,
6 dan moet julle weet dat dit
God is wat my onregverdig
behandel het.
Hy het my in sy vangnet
gevang.
- 7** Ek roep heelyd uit: ‘Dis
onregverdig!’ maar ek kry
geen antwoord nie.^d
Ek roep heelyd vir hulp,
maar daar is geen gereg-
tigheid nie.^e
- 8** Hy het my weg versper met
'n klipmuur, en ek kan nie
verbykom nie.
Hy het my paaië bedek met
duisternis.^f
- 9** Hy het my eer van my af
weggeneem
en die kroon van my kop
afgehaal.
- 10** Hy breek my aan alle kante
af, totdat ek verdwyn.
My hoop ruk hy uit soos
'n boom.

19:2 *Of “my”. Sien Woordelys. 19:3
*Of “bestraf”.

- 11** Sy woede brand teen my,
en hy beskou my as sy
vyand.^a
- 12** Sy soldate kom bymekaar
en omsingel my,
en hulle slaan kamp op
rondom my tent.
- 13** Hy het my eie broers ver
van my af weggedryf,
en dié wat my ken, het hulle
rug op my gedraai.^b
- 14** My goeie vriende* is weg,
en dié wat ek goed geken
het, het my vergeet.^c
- 15** Gaste in my huis^d en my
slavinne beskou my as 'n
vreemdeling.
Ek is 'n uitlander in hulle oë.
- 16** Ek roep my kneg, maar hy
antwoord nie.
Ek smeek hom om medelye*
te hê.
- 17** My asem het vir my vrou
walglik geword,^e
en ek ruik sleg vir my eie
broers.
- 18** Selfs jong kinders sien neer
op my.
Wanneer ek opstaan, begin
hulle my spot.
- 19** Al my goeie vriende kan my
nie verdra nie,^f
en dié wat ek liefgehad het,
het teen my gedraai.^g
- 20** Ek is net vel en been,^h
en my lewe hang aan 'n
draadjie.*
- 21** Betoon genade aan my, my
vriende, betoon genade,
want God se hand het my
getref.ⁱ
- 22** Hoekom hou julle aan om
my te vervolg, soos God
my vervolg,^j
en hoekom val julle my
heeltyd aan?^k

19:14 *Of "My familieledes". **19:16**
*Sien Woordelys. **19:20** *Lett. "en ek
ontkom met die vel van my tande".

HFST. 19

a Job 13:24

b Ps 31:11
Ps 69:8

c Ps 38:11

d Job 31:32

e Job 2:9

f Job 17:6
Ps 88:8

g Ps 109:5

h Job 30:30
Ps 102:5

i Job 1:10-12
Ps 38:2

j Job 2:9, 10

k Ps 69:26

Tweede kol.

a Job 14:14
Ps 19:14
Ps 69:18
Ps 103:2, 4
Mt 20:28
Mr 10:45

b Ps 17:15

c Ps 69:26

d De 32:41

e Ps 58:11
Mt 7:1
Ro 14:4
Jak 4:12

HFST. 20

f Job 2:11
Job 11:1

g Job 8:8

- 23** As my woorde maar net
neergeskryf was!
As dit maar net in 'n boek
neergeskryf kon word!
- 24** As dit maar net vir ewig in
'n rots uitgekap kon wees,
met 'n ysterpen en lood!
- 25** Want ek weet goed dat my
verlosser*^a lewe.
Hy sal later kom en op die
aarde staan.[#]
- 26** Nadat my vel weggeteer het,
en terwyl ek nog lewe, sal
ek God sien.
- 27** Ek sal hom self sien.
Ek sal hom met my eie
oë sien, nie met dié van
iemand anders nie.^b
Maar ek voel oorweldig deur
my emosies!*
- 28** Want julle sê: 'Hoe vervolg
ons hom?'^c
Julle dink dat die oorsaak
van die probleem by my lê.
- 29** Julle moet bang wees vir die
swaard,^d
want die swaard bring straf
vir oortredings.
Julle moet weet dat daar
'n regter is.^e
- 20** Sofar,^f die Naämatiet, het
toe geantwoord:
- 2** "Ek kan my gevoelens nie
meer inhou nie. Ek moet
iets sê,
want ek is baie ontsteld.
- 3** Ek het 'n teregwyding
gehoor wat my beledig.
En weens die insig wat ek
het, moet ek eenvoudig
antwoord.
- 4** Jy weet tog sekerlik:
Vandat die mens* op die
aarde geplaas is,^g
- 5** het die blydschap van slegte
mense nie lank gehou nie

19:25 *Of "terugkoper". [#]Lett. "oor
die stof opstaan". **19:27** *Of "Maar
my niere het ingege". **20:4** *Of "die
mensdom; Adam".

en was die vreugde van die goddeloses* van korte duur.^a

- 6** Al styg sy grootheid tot in die hemel en al raak sy kop aan die wolke,
- 7** sal hy vir ewig vergaan soos sy eie ontlasting.
Dié wat hom gewoonlik gesien het, sal vra: 'Waar is hy?'
- 8** Hy sal wegvlieg soos 'n droom, en hulle sal hom nie vind nie.
Hy sal verdwyn soos 'n visioen in die nag.
- 9** Die oog wat hom voorheen gesien het, sal hom nie weer sien nie, en ook sy woonplek sal hom nie weer sien nie.^b
- 10** Sy kinders sal die goedkeuring van die armes soek, en met sy eie hande sal hy sy rykdom teruggee.^c
- 11** Hy was vol jeugdige krag, maar dit sal verdwyn wanneer hy in die stof gaan lê.
- 12** As slegte dinge soet smaak in sy mond en hy dit onder sy tong wegsteek,
- 13** as hy die smaak daarvan geniet en dit nie uitspoeg nie, maar dit in sy mond hou,
- 14** sal sy kos suur word in sy maag.
Dit sal soos die gif* van kobras in hom word.
- 15** Hy het rykdom ingesluk, maar hy sal dit opgooi.
God sal sorg dat hy dit opbring.
- 16** Die gif van kobras sal hy drink.

20:5 *Of "afvalliges". 20:14 *Of "gal".

HFST. 20

a Job 8:13,19
Job 21:28

b Job 8:13,18

c Job 20:18

Tweede kol.

a Job 20:10

b Job 15:21
Job 18:5,11

Die giftande* van 'n adder sal hom doodmaak.

- 17** Hy sal nooit strome water en 'n oorvloed van heuning en botter geniet nie.
- 18** Hy sal sy besittings teruggee voordat hy dit kan gebruik.
Hy sal handel dryf, maar hy sal nie die rykdom wat hy verkry het, geniet nie.^a
- 19** Want hy het die armes onderdruk en hulle nie gehelp nie.
Hy het 'n huis gevat wat hy nie gebou het nie.
- 20** Maar hy sal nie innerlike vrede hê nie.
Sy rykdom sal hom nie red nie.
- 21** Daar het niks oorgebly wat hy kan vat nie.
Daarom sal sy rykdom nie hou nie.
- 22** Wanneer hy baie rykdom het, sal angstigheid hom inhaal.
Die ergste probleme sal hom tref.
- 23** Terwyl hy eet, sal God Sy brandende woede teen hom stuur en dit soos reën op hom laat val.
- 24** Wanneer hy vir ysterwapens vlug, sal pyle van 'n koperboog hom tref.
- 25** Hy trek 'n pyl uit sy rug, 'n glinsterende wapen uit sy ingewande, en vrees oorval hom.^b
- 26** Die duisternis wag op sy skatte.
'n Vuur wat niemand aangeblaas het nie, sal hom verteer.
Rampspoed wag op enige oorlewendes in sy tent.

20:16 *Lett. "tong".

- 27 Die hemel sal sy sonde blootlê.
Die aarde sal teen hom in opstand kom.
- 28 Vloedwater sal sy huis wegspoel.
Daar sal 'n stortvloed wees op die dag van God se woede.
- 29 Dit is die goddelose mens se deel wat van God af kom, die erfdeel wat God hom gee."

21 Job het toe geantwoord:
2 "Luister mooi na wat ek sê.

Laat dít die troos wees wat julle my gee.

- 3 Luister geduldig na my terwyl ek praat.
Daarna kan julle my maar spot.^a
- 4 As ek by 'n mens gekla het, sou my geduld al opgeraak het.
- 5 Kyk na my. Julle sal geskok wees en julle hand oor julle mond sit.
- 6 As ek daaraan dink, ontstel dit my, en my hele liggaam bewe.
- 7 Hoekom bly die goddeloses lewe?^b
Hoekom word hulle oud en ryk?^{*c}
- 8 Hulle het altyd hulle kinders by hulle, en hulle sien hulle nakomelinge.
- 9 Hulle huise is veilig, en hulle hoef niks te vrees nie.^d
God straf hulle nie.
- 10 Hulle bulle is altyd vrugbaar.
Hulle koeie het geen misgeboorte nie.
- 11 Hulle seuns hardloop buite rond soos 'n kudde,

21:7 *Of "magtig".

HFST. 21

a Job 16:10, 20
Job 17:2
Heb 11:36

b Hab 1:3, 13

c Job 12:6
Ps 37:7
Ps 73:3
Ps 73:12
Jer 12:1

d Ps 73:3, 5

Tweede kol.

a Jes 5:12
Jes 22:13
Am 6:4, 5

b Ps 10:4, 11
Ps 73:3, 11

c Eks 5:2
Ps 10:4
Ho 13:6

d Mal 3:14

e Lu 12:19, 20

f Ps 1:1

g Spr 13:9
Spr 20:20
Spr 24:20

h Ps 11:6
Jes 26:11

i Ps 75:8
Jes 51:17
Jer 25:15
Op 14:10

en hulle kinders huppel rond.

- 12 Hulle sing terwyl daar op die tamboeryn en harp gespeel word, en hulle is vrolik terwyl daar op die fluit gespeel word.^a
- 13 Hulle het 'n gelukkige lewe, en hulle gaan in vrede* na die Graf.[#]
- 14 Maar hulle sê vir die ware God: 'Los ons uit!
Ons stel glad nie belang in u weë nie.^b
- 15 Wie is die Almagtige, dat ons hom moet dien?^c
Hoe sal ons daarby baat vind as ons hom leer ken?^{*d}
- 16 Maar ek weet dat hulle geen beheer het oor hulle voorspoed nie.^e
Ek dink glad nie soos die goddeloses nie.^{*f}
- 17 Hoe dikwels word die lamp van die goddeloses uitgedoof?^g
Hoe dikwels word hulle deur ramspoed getref?
Hoe dikwels vernietig God hulle in sy woede?
- 18 Word hulle ooit soos strooi in die wind en soos kaf wat deur 'n stormwind weggewaai word?
- 19 God sal 'n man se kinders straf vir wat hy gedoen het.
Maar God moet hóm liever straf sodat hy dit self kan voel.^h
- 20 Mag sy eie oë sy ondergang sien, en mag hy self die woede van die Almagtige drink.ⁱ

21:13 *Of "in 'n oomblik", d.w.s. 'n vin-nige en pynlose dood. #Of "Sjeool".
Sien Woordelys. 21:16 *Of "Die raad van die goddeloses is ver van my af".

- 21 Want hy weet nie wat met sy kinders gebeur as sy lewe verkort word nie.^a
- 22 Kan enigiemand God iets leer?^b
Hy is tog die een wat selfs die hoogste persone oordeel.^c
- 23 Een man sterf terwyl hy nog baie krag het,^d terwyl hy geen bekommernisse het nie en rustig lewe.^e
- 24 terwyl sy bobene fris is en sy liggaam sterk is.*
- 25 Maar 'n ander man sterf terwyl hy baie bekommernisse het, sonder dat hy goeie dinge ondervind het.
- 26 Hulle sal al twee in die stof gaan lê,^f en albei sal deur wurms geëet word.^g
- 27 Kyk! Ek weet presies wat julle dink en watter planne julle teen my beraam.*^h
- 28 Want julle sê: 'Waar is die huis van die belangrike man, en waar is die tent waar die goddelose man gewoon het?'ⁱ
- 29 Het julle nog nie reisigers gevra nie?
Skenk julle nie aandag aan wat hulle sê nie?
- 30 Hulle sal vir julle sê dat 'n goddelose persoon gespaar word op die dag van rampspoed en gered word op die dag van woede.
- 31 Wie sal hom bestraf oor sy slegte weg?

21:24 *Lett. "die murg van sy bene vogtig is". 21:27 *Of moontlik "watter planne julle beraam om met geweld teen my op te tree".

HFST. 21

a Ps 55:23

b Jes 40:13, 14
Ro 11:34
1Kor 2:16

c Jes 40:23

d Ps 49:17
Lu 12:19, 20

e Ps 73:12, 19
Mt 24:38, 39

f Job 3:19
Pr 9:2

g Job 24:20

h Ps 59:3

i Job 20:5, 7

Tweede kol.

a Job 3:17

b Ro 5:12

c Job 16:2, 3

HFST. 22

d Job 2:11
Job 4:1

e Job 15:14, 15

f Job 2:3
Job 32:3

g Job 1:8
Job 4:7

h Job 31:19, 22

i Job 31:17, 22

En wie sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het?

- 32 Wanneer hy na die begraaft-plaas gedra word, sal daar wag gehou word oor sy graf.
- 33 Hy lê rustig in die grond van die vallei,^{*a} en die hele mensdom gaan agter hom aan,^b soos al die mense wat voor hom gesterf het.
- 34 Hoekom probeer julle my vertroue met woorde wat niks beteken nie?^c
Julle woorde is bedrieglik!"

22 E'lifas,^d die Temaniet, het toe geantwoord:

- 2 "Kan 'n mens vir God nuttig wees?
Kan selfs 'n wyse persoon van enige nut vir hom wees?"^e
- 3 Gee die Almagtige om* dat jy regverdig is, of vind hy daarby baat dat jy 'n weg van integriteit*^f volg?"
- 4 Dink jy hy sal jou straf en voor die hof bring omdat jy hom vrees?
- 5 Is dit nie as gevolg van al jou goddeloosheid nie en omdat daar nie 'n einde is aan jou sondes nie?^g
- 6 Sonder rede vat jy jou broers se besittings as sekuriteit, en jy vat mense se klere en laat hulle kaal agter.*^h
- 7 Jy gee nie water aan die een wat moeg is nie, en jy gee nie kos aan die een wat honger is nie.ⁱ

21:33 *Of "wadi". Sien Woordelys. 22:3 *Of "Maak dit die Almagtige bly". *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. 22:6 *Lett. "jy trek die klere van kaal mense uit".

- 8 Die land behoort aan mense met mag,^a en die bevoorregtes woon daarin.
- 9 Maar jy het weduwees met leë hande weggestuur, en jy het die arms van weeskinders* gebreek.
- 10 Daarom is daar strikke oral om jou^b en word jy deur verskriklike dinge oorval.
- 11 Daarom is dit so donker dat jy nie kan sien nie, en daarom word jy deur vloedwaters bedek.
- 12 Is God nie in die hoogste hemele nie? En kyk net hoe hoog is al die sterre.
- 13 Maar jy het gesê: 'Wat weet God eintlik? Kan hy deur digte, donker wolke sien om te oordeel?'
- 14 Daar is wolke rondom hom, en hy kan nie daardeur sien terwyl hy in die hoogste hemele* rondloop nie.'
- 15 Gaan jy die ou pad volg wat goddelose mense gevolg het?
- 16 Hulle lewe is kortgeknip, en hulle fondament is deur vloedwaters* weggespoel.^c
- 17 Hulle het vir die ware God gesê: 'Los ons uit!' En hulle het gevra: 'Wat kan die Almagtige aan ons doen?'
- 18 Tog is hy die Een wat hulle huise met goeie dinge gevul het. (Ek stem glad nie saam met sulke goddelose gedagtes nie.)
- 19 Die regverdiges sal sien hoe hulle vernietig word,

22:9 *Lett. "vaderlose seuns". 22:14 *Of "op die hemelkoepel". 22:16 *Lett. "n rivier".

HFST. 22

a Job 31:25, 28

b Job 18:5, 9

c Job 4:18, 19

Tweede kol.

a Job 11:13

b Job 8:5, 6

c 1Kn 9:28
Job 28:16
Ps 45:9
Jes 13:12

HFST. 23

d Job 10:1

en die onskuldiges sal hulle spot en sê:

- 20 'Ons vyande is vernietig, en 'n vuur sal hulle heeltemal verteer.'
- 21 Jy moet God leer ken, en dan sal jy vrede hê, en goeie dinge sal op jou pad kom.
- 22 Aanvaar die wet wat uit sy mond kom en bewaar sy woorde in jou hart.^a
- 23 As jy na die Almagtige terugkeer, sal dit weer met jou goed gaan.^b As jy goddeloosheid uit jou tent verwyder
- 24 en jou goud in die stof gooi en jou suiwerste goud*^c tussen die rotse van die klowe,[#]
- 25 dan sal die Almagtige jou goud word, en hy sal jou beste silwer wees.
- 26 Want dan sal jy vreugde vind in die Almagtige, en jy sal nader aan God kan kom sonder om te vrees.
- 27 Jy sal hom aanroep, en hy sal na jou luister. En jy sal jou geloftes betaal.
- 28 Alles wat jy besluit om te doen, sal suksesvol wees, en lig sal op jou pad skyn.
- 29 Jy sal verneder word as jy hoogmoedig praat, maar hy sal die nederiges red.
- 30 Hy sal dié red wat onskuldig is. As jy onskuldig is, sal jy beslis gered word."
- 23** Job het toe geantwoord:
2 "Ek aanvaar dit nie. Ek gaan nog steeds kla.^d

22:24 *Of "goud van Ofir". [#]Of "wadi's". Sien Woordelys.

Ek is uitgeput van al die swaarkry.

- 3** As ek net geweet het waar ek God kon vind!^a
Dan sou ek na sy woonplek gaan.^b
- 4** Ek sou my saak aan hom stel,
en ek sou my verdedig.
- 5** Ek sou sy antwoord hoor en aandag skenk aan wat hy vir my sê.
- 6** Sou hy sy groot krag teen my gebruik?
Nee, hy sou sekerlik na my luister.^c
- 7** Daar sal die opregtes sake met hom kan regstel,
en ek sou eens en vir altyd onskuldig verklaar word deur my Regter.
- 8** Maar as ek na die ooste gaan, is hy nie daar nie.
En as ek na die weste gaan, kan ek hom ook nie vind nie.
- 9** Wanneer hy aan die linkerkant werk, kan ek hom nie sien nie,
en wanneer hy regs draai, sien ek hom nog steeds nie.
- 10** Maar hy weet watter pad ek gekies het.^d
Nadat hy my getoets het, sal ek soos suiwer goud wees.^e
- 11** Ek het sy voetstappe noukeurig gevolg.
Ek het op sy weg gebly sonder om af te dwaal.^f
- 12** Ek het alles gedoen wat hy gesê het.
Ek het sy woorde as 'n skat bewaar,^g selfs meer as wat van my vereis is.
- 13** Wie kan hom keer as hy vasbeslote is om iets te doen?^h
Wanneer hy iets wil doen, dan doen hy dit.ⁱ

HFST. 23

a Job 13:3
Job 16:21

b Job 31:37

c Ps 22:24
Jes 57:16

d Job 1:8
Ps 1:6
Ps 139:1

e Job 31:6
Ps 17:3

f Ps 18:21
Ps 44:18

g Ps 119:11, 127
Jer 15:16

h Ro 9:19

i Nu 23:19
Ps 135:6
Jes 14:24
Jes 46:10

Tweede kol.

HFST. 24

a Hab 1:2

b De 19:14
De 27:17
Spr 23:10
Ho 5:10

c De 24:17

d Ps 109:16
Spr 22:16
Jes 10:1, 2
Jak 5:4

e Jes 32:14
Jer 14:6

f Eks 22:26, 27
De 24:13

- 14** Hy sal alles doen wat hy oor my besluit het,
en hy het nog baie sulke dinge in gedagte.
- 15** Daarom voel ek angstig as gevolg van hom.
Wanneer ek aan hom dink, raak ek al hoe banger.
- 16** God het my moed gebreek.
Die Almagtige het my bang gemaak.
- 17** Maar ek is nog nie stilgemaak deur die duisternis nie,
en ook nie deur die donkerte wat my gesig bedek het nie.

24 "Hoekom stel die Almagtige nie 'n tyd vas wanneer hy mense gaan oordeel nie?^a

Hoekom sien dié wat hom ken, nie sy dag nie?

- 2** Mense verskuif grensmerkers.^b
Hulle steel kuddes vir hulle eie weiveld.
- 3** Hulle vat die weeskind se donkie af
en neem die weduwee se bul as sekuriteit vir 'n lening.^c
- 4** Hulle druk die armes van die pad af.
Die hulpeloses moet vir hulle wegkruip.^d
- 5** Die armes moet na kos soek soos wildedonkies^e in die woedernis.
Hulle soek in die woestyn na kos vir hulle kinders.
- 6** Hulle moet in iemand anders se landery oes^f
en pluk wat in die wingerd van die goddelose oorgebly het.
- 7** Sonder klere moet hulle die nag deurbring.^f

24:6 *Of moontlik "Hulle moet voer in die landery oes".

- Hulle het niks om hulle mee te bedek wanneer dit koud is nie.
- 8** Hulle word papnat van die reën in die berge.
Hulle klou aan die rotse vas omdat daar nie skuilplek is nie.
- 9** Die vaderlose kind word van die bors af weggeruk.^a
En die klere van die arme word afgevat as sekuriteit vir 'n lening.^b
- 10** Hulle word dus gedwing om sonder klere rond te loop en honger te ly terwyl hulle graanbondels dra.
- 11** In die skroeiende hitte werk hulle hard* op die terrasse.
Hulle trap druiwe in die wynperse, en tog ly hulle dors.^c
- 12** Die sterwendes hou aan kreun in die stad.
Dié wat dodelik gewond is, roep om hulp,^d maar God steur hom nie daaraan nie.*
- 13** Party mense haat die lig.^e
Hulle verwerp die weë van die lig en volg nie die paaie daarvan nie.
- 14** Die moordenaar staan teen dagbreek op.
Hy maak die hulpeloses en die armes dood^f en in die nag steel hy.
- 15** Die egbreker wag vir die aand^g en sê: 'Niemand gaan my sien nie!'^h
En hy bedek sy gesig.
- 16** In die donkerte breek hulle by huise in.
In die dag sluit hulle hulleself toe.

24:11 *Of moontlik "Hulle pars olie".
24:12 *Of moontlik "maar God beskuldig niemand nie".

HFST. 24

a 2Kn 4:1

b Eks 22:26, 27
De 24:13

c Jer 22:13
Jak 5:4

d Pr 4:1

e Joh 3:19

f Ps 10:4, 8

g Spr 7:8-10

h 2Sa 12:9, 12
Ps 94:3, 7
Spr 30:20

Tweede kol.

a Joh 3:20

b De 28:15, 16
Spr 3:33

c Ps 49:13, 14
Ps 55:15
Lu 12:20

d Spr 10:7
Pr 8:10
Pr 9:5

e Pr 8:11
Jes 56:12
Lu 12:19

f Ps 11:4
Spr 5:21
Spr 15:3

g Ps 37:10
Ps 92:7
Jak 1:11

h Pr 8:12, 13

- Hulle ken nie die lig nie.^a
- 17** Hulle vrees die oggend net soos ander mense die donkerte vrees.
Hulle is gewoonnd aan die gevaar van die donkerte.
- 18** Maar hulle word vinnig deur die waters weggespoel.*
Hulle stuk grond sal vervloek wees.^b
Hulle sal nie na hulle wingerde terugkeer nie.
- 19** Net soos droogte en hitte die sneeu laat verdwyn, so laat die Graf* sondaars verdwyn!^c
- 20** Hulle ma's* sal hulle vergeet; die wurms sal hulle eet.
Niemand sal hulle onthou nie.^d
Die goddeloses sal gebreek word net soos 'n boom.
- 21** Hulle buit onvrugbare vrouens uit en mishandel weduwees.
- 22** God sal sy krag gebruik om 'n einde aan die magtiges te maak.
Al word hulle sterk, het hulle geen versekering dat hulle sal bly lewe nie.
- 23** God laat hulle dink dat hulle veilig is,^e maar hy sien alles raak wat hulle doen.^f
- 24** Hulle is vir 'n kort rukkie belangrik, en dan verdwyn hulle.^g
Hulle word verneder^h en sterf soos al die ander mense.
Hulle word soos koring afgesny.
- 25** Wie kan teen my stry of my verkeerd bewys?"

24:18 *Lett. "is vinnig op die oppervlak van die waters". **24:19** *Of "Sjool". Sien Woordelys. **24:20** *Lett. "Die baarmoeder".

25 Bildad,^a die Suhiet, het toe geantwoord:

- 2 “God regeer en mense behoort sy mag te vrees. Hy sorg dat daar vrede in die hemel is.
- 3 Kan sy leërmag getel word? En op wie skyn sy lig nie?
- 4 Hoe kan 'n blote mens dan regverdig voor God wees?^b En hoe kan iemand wat uit 'n vrou gebore is, onskuldig* wees?^c
- 5 Sels die maan is nie vir hom helder nie, en die sterre is nie rein in sy oë nie.
- 6 Wat nog te sê 'n mens, wat soos 'n wurm is, en 'n mensekind, wat soos 'n maaier is!”

26 Job het toe geantwoord: 2 “Hoe het jy nou die een gehelp wat nie krag het nie?

Hoe het jy die persoon gered wat swak is?^d

- 3 Watter wonderlike raad het jy tog gegee aan iemand wat nie wysheid het nie!^e En hoe vrygewig was jy tog met jou praktiese wysheid!
- 4 Vir wie is jou woorde eintlik bedoel? En waar kom jy aan hierdie dinge?*
- 5 Dié wat magtelos is in die dood, bewe. Hulle is selfs laer as die see en alles wat daarin woon.
- 6 Die Graf* lê oop en bloot voor God,^f en die plek van vernietiging* is nie bedek nie.

25:4 *Of “rein”. 26:4 *Lett. “wie se asem (gees) het uit jou uitgegaan?” 26:6 *Of “Sjeool”. Sien Woordelys. *Of “en Abaddon”.

HFST. 25

a Job 2:11
Job 8:1

b Job 4:17,18
Job 22:3

c Job 15:14,15

HFST. 26

d Job 16:2,3

e Job 12:2
Job 17:10

f Ps 139:8
Heb 4:13

Tweede kol.

a Job 9:8
Ps 104:2
Jes 42:5

b Spr 30:4
Pr 11:3

c Ps 97:2

d Spr 8:27
Jer 5:22

e Ps 74:13
Jes 51:15

f Job 9:13

g Ps 92:5
Pr 3:11
Jes 55:9

h Job 37:5

HFST. 27

i Job 34:5

j Rut 1:20
2Kn 4:27

k Ge 2:7
Jes 42:5
Han 17:25

7 Hy strek die hemel* uit oor die leë ruimte^a en laat die aarde hang aan niks.

8 Hy vou die water in wolke toe,^b sodat die wolke nie oopbars van al die water nie.

9 Hy maak sy troon onsigbaar deur dit met wolke te bedek.^c

10 Hy merk die horison* op die water af.^d

Hy skei die lig van die duisternis.

11 Die pilare van die hemel skud.

Hulle bewe weens sy teregwyding.

12 Deur sy krag maak hy die see onstuimig,^e en deur middel van sy wysheid slaan hy die seemonster* stukkend.^f

13 Met die wind* maak hy die lug skoon.

Hy vernietig die slang wat wegseil.

14 En dit is maar net 'n klein deeltjie van sy werke.^g

Wat ons van hom gehoor het, is maar net 'n fluistering!

Wie kan dan sy magtige donderslae verstaan?!”^h

27 Job het verder gesê:

2 “So waar as wat God lewe, wat my onregverdig behandel het,ⁱ

en so waar as wat die Almagtige lewe, wat my lewe bitter gemaak het;^j

3 solank as wat ek lewe en solank as wat God my laat asemhaal,^k

4 sal goddelose dinge nie uit my mond kom nie

26:7 *Lett. “noorde”. # Lett. “oor leegheid”. 26:10 *Lett. “n sirkel”. 26:12 *Lett. “Rahab”. 26:13 *Lett. “Met sy asem”.

- en sal ek niks bedrieglik
sê nie!
- 5** Ek sal nooit sê dat julle reg
is nie!
Totdat ek sterf, sal ek nie
my integriteit* prysgee
nie!^a
- 6** Ek sal aanhou om my on-
skuld te verdedig. Ek sal
nooit ophou nie.^b
Solank as wat ek lewe, sal
my hart* my nie veroor-
deel nie.
- 7** Mag my vyande gestraf
word soos die goddeloses,
en dié wat my aanval, soos
slegte mense.
- 8** Want watter hoop het die
goddelose mens* wanneer
hy vernietig word,^c
wanneer God sy lewe neem?
- 9** Sal God hom hoor wanneer
hy om hulp roep,
wanneer hy in die moeilik-
heid is?^d
- 10** Of sal hy bly wees oor
sy verhouding met die
Almagtige?
Sal hy te alle tye tot God
bid?
- 11** Ek sal julle leer oor die krag*
van God.
Ek sal niks omtrent die
Almagtige wegsteek nie.
- 12** As julle almal visioene
gesien het,
hoekom sê julle dan dinge
wat niks beteken nie?
- 13** Dít is die deel wat die godde-
lose mens van God kry,^e
die erfdeel wat die onder-
drukker van die Almagtige
ontvang:
- 14** Al het hy baie kinders,
sal hulle deur die swaard
doodgemaak word,^f

27:5 *Of “onkreukbaarheid”. Sien
Woordelys. **27:6** *Of “gewete”. **27:8**
*Of “die afvallige”. **27:11** *Of moont-
lik “deur die hand”.

HFST. 27

a Job 22:1, 5
Spr 27:11

b Job 2:3

c Job 13:15, 16
Job 36:13

d Job 35:12
Ps 18:37, 41
Spr 28:9
Jer 11:11
Jak 4:3

e Ps 11:6
Pr 8:13
Mal 3:5

f Est 9:7-10
Ho 9:13

Tweede kol.

a Spr 13:22
Spr 28:8
Pr 2:26

b Jes 1:8
Klg 2:6

c Ps 73:3, 19

d Mt 7:26, 27

e Ps 83:15

f Jes 10:3
Am 2:14

g Klg 2:15

HFST. 28

h Spr 17:3
Mal 3:3

i De 8:7, 9

en sy nakomelinge sal nie
genoeg kos hê nie.

- 15** Ná sy dood sal sy nakome-
linge weens 'n verskriklike
siekte sterf,
en hulle weduwees sal nie
oor hulle huil nie.
- 16** Al versamel hy baie silwer,
so baie soos stof,
en al het hy hope klere, so
baie soos klei,
- 17** al maak hy dit bymekaar,
sal die regverdiges dit dra,^a
en die onskuldiges sal sy sil-
wer onder hulle verdeel.
- 18** Die huis wat hy bou, is so
swak soos 'n mot se kokon,
soos 'n tydelike skuiling^b
wat deur 'n wag gemaak is.
- 19** Hy sal ryk wees wanneer hy
gaan slaap,
maar wanneer hy sy oë oop-
maak, sal hy niks hê nie.
- 20** Vrees oorweldig hom soos
'n vloed.
'n Storm sal hom in die nag
wegruk.^c
- 21** 'n Oostewind sal hom weg-
waai, en hy sal verdwyn.
Dit sal hom van sy huis af
wegwaai.^d
- 22** Dit sal sonder genade teen
hom kom^e
terwyl hy desperaat probeer
wegkom.^f
- 23** Die wind* sal hande klap
en spottend vir hom fluit.^g
- 28** “Daar is 'n plek waar
silwer gemyn word
en 'n plek waar goud
gesuiwer word.^h
- 2** Yster word uit die grond
gehaal
en koper word uit klippe
gesmelt.ⁱ
- 3** Die mens oorwin die
donkerte.

27:23 *Of moontlik “Hulle”. **28:2**
*Lett. “gegiet”.

- Hy gaan tot in die verste donker dele van die aarde op soek na metaal.*
- 4** Hy sink 'n skag ver van waar mense woon, in vergete plekke, ver van waar mense loop. Party sak met toue af en hang daaraan terwyl hulle werk.
- 5** Kos groei op die oppervlak van die aarde, maar onder die grond is daar verwoesting soos deur vuur.*
- 6** Daar bevat die klippe saffier, en in die stof is daar goud.
- 7** Geen roofvoël weet hoe om daar uit te kom nie, en die oog van die valk het dit nie gesien nie.
- 8** Groot diere het nie daar geloop nie, en jong leeus het nie daar gejag nie.
- 9** Die mens breek die harde klip. Hy keer die dieptes van die berge om.
- 10** Hy sny waterkanale^a uit die rots. Sy oë sien elke kosbare ding raak.
- 11** Hy dam die ondergrondse water op by hulle oorsprong, en bring verborge dinge na die lig.
- 12** Maar wysheid – waar kan dit gevind word?^b En waar is die bron van insig?^c
- 13** Mense weet nie hoe waardevol dit is nie,^d en dit kan nie in die land van die lewendes gevind word nie.

28:3 *Of “erts”. Lett. “klip”. 28:5 *Verwys blykbaar na mynbedrywig-hede.

HFST. 28

a 2Kn 20:20
2Kr 32:30

b Spr 2:6
Jak 1:5

c Job 28:28

d Spr 3:15

Tweede kol.

a Ro 11:34

b Spr 3:13, 14

c Jes 13:12

d Spr 16:16

e Spr 8:11
Spr 20:15

f Eks 28:15, 17

g Job 28:12

h Pr 8:17
1Kor 2:8, 11

i Jak 1:5

j Spr 15:3
Sag 4:10
1Pe 3:12

k Ps 148:8
Pr 1:6

l Job 5:10
Job 26:8
Job 37:10
Ps 135:7
Spr 30:4
Jes 40:12

- 14** Die diep water sê: ‘Dit is nie in my nie!’
En die see sê: ‘Dit is nie by my nie!’^a
- 15** Dit kan nie met suiwer goud gekoop word nie, en silwer kan nie daarvoor afgeweeg word nie.^b
- 16** Dit kan nie met goud van Ofir^c gekoop word nie, en ook nie met kosbare onkssiene en saffiere nie.
- 17** Goud en glas kan nie daarmee vergelyk word nie, en ’n voorwerp van suiwer goud kan nie in ruil daarvoor gegee word nie.^d
- 18** Koraal en kristal kan nie daarmee vergelyk word nie,^e want ’n sak vol wysheid is meer werd as ’n sak vol pêrels.
- 19** Die topaas^f van Kus kan nie daarmee vergelyk word nie.
Dit kan nie eers met suiwer goud gekoop word nie.
- 20** Maar waar kom wysheid vandaan?
En waar is die bron van insig?^g
- 21** Nie ’n enkele lewende ding kan dit sien nie.^h
Dit is weggesteek vir die voëls van die hemel.
- 22** Vernietiging en die dood sê: ‘Ons het maar net daarvan gehoor.’
- 23** Maar God weet waar om dit te vind.
Hy is die enigste een wat weet waar dit woon,ⁱ
- 24** want hy sien tot aan die eindes van die aarde en hy sien alles onder die hemel.^j
- 25** Hy het die krag van die wind vasgestel^k en die waters afgemeet.^l

- 26** Hy het wette gemaak vir die reën,^a en 'n weg vir die donderwolk.^b
- 27** Op daardie tyd het hy wysheid gesien en verduidelik wat dit is.
Hy het dit stewig gevestig en dit ondersoek.
- 28** En hy het vir die mens gesê: 'Vrees vir Jehovah – dit is wysheid.^c
En om slegte dinge te vermy, is insig.'^d
- 29** Job het verder gesê:
2 "Ag, as ek maar was soos ek voorheen was, in die dae toe God my beskerm het,
3 toe hy sy lig oor my laat skyn het,
toe hy my pad in die donkerter verlig het,^e
4 toe ek nog jonk en sterk was,
toe God 'n vriend in my tent was,^f
5 toe die Almagtige nog met my was,
toe my kinders* nog by my was,
6 toe ek 'n oorvloed botter gehad het,*
en strome olie, asof dit uit die rotse gevloei het,^g
7 toe ek nog na die stadspoort gegaan het^h
en op die openbare plein gaan sit het.ⁱ
8 Die jong manne het padgegee* as ek aankom en selfs die ou manne het opgestaan en bly staan.^j
9 Die leiers het stilgebly. Hulle het hulle hand oor hulle mond gesit.

29:5 *Of "dienaars". 29:6 *Lett. "toe ek my voetstappe in botter gewas het". 29:8 *Lett. "weggekruipt".

HFST. 28

a Sag 10:1

b Job 38:25

c De 4:6
Ps 111:10
Spr 9:10
Pr 12:13
Ro 1:20

d Spr 3:7

HFST. 29

e Ps 18:28
Ps 119:105

f Ps 25:14
Spr 3:32

g De 32:13
De 33:24

h Rut 4:1
Spr 31:23

i Ne 8:1

j Le 19:32

Tweede kol.

a Spr 21:13
Spr 24:11

b Jak 1:27

c De 24:12, 13

d De 10:17, 18

e Lu 14:13
Jak 1:27

f Spr 29:7

g Ps 58:6
Spr 30:14

h Ge 25:8
2Kn 22:20

- 10** Die belangrike manne het opgehou praat.
Nie 'n woord het uit hulle mond gekom nie.*
- 11** Almal wat na my geluister het, het net goeie dinge van my gesê,
en almal wat my gesien het, het my geprys.
- 12** Want ek het die arme gered wat om hulp geroep het,^a asook die weeskind* en elkeen wat nie 'n helper gehad het nie.^b
- 13** Dié wat naby die dood was, het goeie dinge van my gesê,^c
en die weduwees was bly oor wat ek vir hulle gedoen het.^d
- 14** Ek het altyd regverdig opgetree.
Met geregtigheid het ek besluite geneem.*
- 15** Ek was oë vir die blindes en voete vir dié wat verlam is.
- 16** Ek was 'n pa vir die armes.^e
Ek het gesorg dat vreemdelinge 'n regverdige verhoor kry.^f
- 17** Ek het die kakebene van die goddelose gebreek,^g
en die prooi uit sy tande weggeruk.
- 18** Ek het altyd gesê: 'Ek sal in my eie huis sterf,^h
en my dae sal so baie wees soos die sandkorrels.
- 19** Ek sal soos 'n boom wees waarvan die wortels tot by die water reik,
en die dou sal die hele nag lank op my takke wees.
- 20** Ek sal altyd 'n goeie reputasie hê,

29:10 *Lett. "Hulle tong het aan hulle verhemelte vasgekleef". 29:12 *Lett. "vaderlose seun". 29:14 *Lett. "My geregtigheid was soos 'n kleed en 'n tulband".

en die boog in my hand
sal bly skiet.¹

21 Mense het aandagtig na my
geluister.

Hulle het in stilte gewag
vir my raad.^a

22 Nadat ek gepraat het, het
hulle niks meer gehad
om te sê nie.

My woorde was sag op
hulle ore.

23 Hulle het vir my gewag soos
mense vir die reën wag.

Hulle het na my woorde
uitgesien soos na die
lentereën.^b

24 Toe ek vir hulle geglimlag
het, kon hulle dit skaars
glo.

My vrolike gesig het hulle
gerusgestel.*

25 Ek het vir hulle raad gegee,
want ek was vir hulle
'n leier.

Ek was soos 'n koning
tussen sy soldate,^c
iemand wat die treurendes
vertrou.^d

30 "Nou lag hulle vir my^e
– manne wat jonger is
as ek.

En ek sou hulle pa's nie eers
toegelaat het
om saam met my honde
skape op te pas nie.

2 Van watter nut was hulle
krag vir my?

Hulle energie het verdwyn.

3 Hulle is uitgeteer van die
honger.

Hulle eet enigiets wat hulle
in die hande kry
in die droë, verlate woestyn.

4 Hulle pluk die blare van
soutbosse,
en hulle eet die wortels van
besembosse.

29:24 *Of moontlik "Hulle het nie my
vrolike gesig somber gemaak nie".

HFST. 29

a Job 29:9

b Ps 72:6
Spr 16:15

c Job 1:3

d Pr 7:2

HFST. 30

e Job 12:4

Tweede kol.

a Ge 4:12
Ps 109:10
Da 4:25

b Ps 69:12
Klg 3:14

c Job 17:6

d Job 19:13

e Nu 12:14
De 25:9
Jes 50:6
Mt 27:30

f Job 16:2
Ps 69:26

5 Hulle word uit die gemeen-
skap uitgedryf.^a

Mense skree op hulle asof
hulle diewe is.

6 Hulle woon tussen die
klowe,*

in gate in die grond en in
die rotse.

7 Hulle roep uit tussen die
bosse
en soek skuiling tussen die
doringbosse.

8 Soos die seuns van verstan-
delose en nikswerd mense
is hulle uit die land
uitgedryf.

9 Maar nou spot hulle my selfs
in hulle liedjies.^b

Hulle sien neer op my.^c

10 Hulle haat my, en hulle bly
ver van my af weg.^d

Hulle spoeg selfs in my
gesig.^e

11 God het my van my krag
berooft* en my verneder,
en nou maak mense met my
net wat hulle wil.

12 Aan my regterkant val hulle
my aan soos 'n bende,
en ek het van hulle af
weggevlug.

Hulle sit strikke op my pad
om my te vernietig.

13 Hulle breek my paaie op
en hulle maak my probleme
nog erger.^f

Daar is niemand wat hulle
keer* nie.

14 Soos vyande wat deur
'n wye gat in die muur
inkom,
storm hulle op my af.

15 Vrees oorweldig my.
My waardigheid verdwyn
soos die wind.

En my hoop op redding
verdwyn soos 'n wolk.

30:6 *Of "wadi's". Sien Woordelys.
30:11 *Lett. "my boogsaan losge-
maak". **30:13** *Of moontlik "help".

- 16** Ek kom al hoe nader aan die dood.^a
Elke dag is 'n dag van swaarkry.^b
- 17** In die nag dring die pyn deur tot in my gebeente.^c
Die knaende pyn hou nooit op nie.^d
- 18** Met geweld word daar aan my kleed getrek.*
Dit wurg my soos 'n kraag wat te styf sit.
- 19** God het my in die modder gegooi.
Ek is nou maar net stof en as.
- 20** Ek roep tot u om hulp, maar u antwoord my nie.^e
Ek kom voor u, maar u kyk my net aan.
- 21** U het my wreed behandel en teen my gedraai.^f
U val my aan met al u krag.
- 22** U tel my op en laat die wind my wegwaai.
Dan gooi u my rond in die storm.*
- 23** Ek weet u gaan my na die dood stuur,
na die huis waar almal wat lewe, bymekaar sal kom.
- 24** Maar niemand sal 'n gebroke man* heeltemal vernietig^g terwyl hy om hulp roep in sy tyd van nood nie.
- 25** Het ek nie gehuil toe ander deur moeilike tye gegaan het nie?
Het ek nie getreur oor die armes nie?^h
- 26** Ek het gehoop dat goeie dinge sal kom, maar toe het slegte dinge gekom.
Ek het die lig verwag, maar toe kom die donkerte.

30:18 *Of moontlik "My pyn is so erg dat dit my vermink". **30:22** *Of moontlik "Dan vernietig u my met 'n harde slag". **30:24** *Lett. "'n ruïne".

HFST. 30

a Ps 22:14

b Job 10:15

c Ps 6:2

d Job 2:8, 13

Job 7:4

e Job 19:7

Ps 22:2

f Job 7:20

Job 19:6

g Job 13:25

h Spr 14:21

Spr 14:31

Spr 19:17

Tweede kol.

a Ps 38:6

Ps 42:9

Ps 43:2

b Mi 1:8

c Job 7:5

Klg 4:8

HFST. 31

d Spr 6:25, 26

Mt 5:28

e Job 31:9, 10

f Job 20:26–29

Ps 73:3, 18

Spr 10:29

g Ge 16:13

2Kr 16:9

Ps 139:3

Spr 5:21

Jer 32:19

h Ps 26:5

Spr 6:16, 18

- 27** Die angstigheid binne-in my het nie opgehou nie.
Elke dag is 'n dag van swaarkry.
- 28** Ek loop hartseer rond;^a daar is geen sonlig nie.
Ek staan in die gemeente op en roep om hulp.
- 29** Die jakkalse het my broers geword,
en die volstruise my vriende.^b
- 30** My vel het swart geword en afgedop.^c
My liggaam* brand van die hitte.[#]
- 31** My harp word net gebruik vir treurliedere,
en my fluit vir liedere van tranes.
- 31** "Ek het 'n verbond met my oë gemaak^d

dat ek nooit ongepaste aandag aan 'n jong meisie sal gee nie.^e

- 2** As ek dit sou doen, wat sou ek ontvang van God in die hemel?

Watter erfdeel sou ek ontvang van die Almagtige daar bo?

- 3** Word die goddeloses nie deur rampspoed getref nie?

En sal dit nie sleg gaan met dié wat verkeerde dinge doen nie?^f

- 4** Sien God nie alles wat ek doen nie,^g
en is hy nie bewus van elke tree wat ek gee nie?

- 5** Was ek iemand wat leuens vertel het?[#]
Was ek iemand wat mense bedrieg het?^h

30:30 *Lett. "bene". [#]Of moontlik "koors". **31:5** *Of moontlik "Het ek ooit met oneerlike mense geassosieer?"

- 6** Laat God my met 'n akkurate weegskaal weeg.^a
Dan sal hy sien dat ek my integriteit* behou het.^b
- 7** As ek van die regte pad afgedwaal het,^c
of as my hart my oë gevolg het,^d
of as my hande onrein geword het,
- 8** laat iemand anders dan eet wat ek gesaai het,^e
en laat alles wat ek geplant het,* uitgeruk word.
- 9** As my hart deur 'n vrou verlei is^f
en ek in die geheim naby my medemens se deur gewag het,^g
- 10** laat my vrou dan vir 'n ander man graan maal,
en laat ander mans met haar seksuele omgang hê.^{*h}
- 11** Want dit sou skandelige gedrag gewees het,
'n sonde wat straf van die regters verdien.ⁱ
- 12** Dit sou soos 'n verwoestende vuur gewees het,^j
wat alles wat ek het,
vernietig.
- 13** As ek gekeer het dat my slawe of slavinne geregtigheid kry
wanneer hulle 'n klagte* teen my gehad het,
- 14** wat sou ek dan kon doen wanneer God my daarvoor konfronteer?
Wat sou ek vir hom kon sê wanneer hy my daarvoor uitvra?^k
- 15** Het die Een wat my in die baarmoeder gemaak het,
hulle nie ook gemaak nie?^l

31:6 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. **31:8** *Of "laat my nacomeling". **31:10** *Lett. "laat ander mans oor haar neerkniel". **31:13** *Of "regsaak".

HFST. 31

a 1Sa 2:3

b Job 2:3
Job 27:5
Ps 7:8

c De 11:16
Jer 10:23

d Nu 15:39
Pr 11:9
Ese 6:9
Mt 5:29
1Jo 2:16

e Le 26:16

f Job 31:1
Mt 5:28

g Job 24:15

h 2Sa 12:9,11
Jer 8:10

i Ge 38:24
Le 20:10
De 22:22

j Spr 6:25-27
Spr 7:27

k Spr 22:22,23
Jes 10:1-3

l Job 34:19
Spr 14:31
Spr 22:2
Mal 2:10

Tweede kol.

a Ps 139:16

b De 15:7,8

c De 10:18
Spr 28:27

d Ese 18:5,7
Jak 1:27
1Jo 3:17

e Jes 58:7
Lu 3:11
Jak 2:15,16

f De 24:13

g Spr 14:21

h Spr 31:23

Is ons nie voor ons geboorte* deur dieselfde Een gevorm nie?^a

- 16** As ek geweier het om vir die armes te gee wat hulle wou hê^b
en die weduwees teleurgestel het deur hulle nie te help nie,^c
- 17** as ek my kos alleen geëet het
en dit nie met die weeskinders gedeel het nie,^d
- 18** (want vandat ek jonk was,
het ek die weeskinders grootgemaak en was ek soos 'n pa vir hulle,
en van jongs af het ek die weduwees gehelp)
- 19** as ek gesien het dat iemand verkluum omdat hy nie klerre het nie
of dat 'n arm man niks het om hom mee te bedek nie,^e
- 20** as ek nie vir hom wol van my skape gegee het sodat hy kon warm bly en my kon seën nie,^f
- 21** en as ek 'n weeskind gedreig het^g
wanneer hy my in die stads-poort kom vra het om hom te help,^{*h}
- 22** laat my arm dan van my skouer afval,
en laat my arm by die elm-boog* gebreek word.
- 23** Maar ek sou nooit so iets gedoen het nie, want ek was bang vir die rampspoed wat God oor my sou bring,
en ek sou nie voor hom* kon staan nie.
- 24** As ek my hoop op goud gestel het,

31:15 *Lett. "in die baarmoeder".

31:21 *Of moontlik "wanneer ek gesien het dat ek ondersteuning in die stads-poort het". **31:22** *Of "uit sy potjie; van sy bo-armbeen af". **31:23** *Lett. "sy waardigheid".

- of vir suiwer goud gesê het: 'Ek vertrou op jou!'^a
- 25** of as my rykdom en al die besittings wat ek byme-kaargemaak het,^b my grootste vreugde in die lewe was,^c
- 26** as ek die son sien skyn het of die maan in sy prag verby sien gly het^d
- 27** en my hart verlei is om hulle te aanbid,^{*e}
- 28** sou dit 'n sonde gewees het wat straf van die regters verdien, want ek sou ontrou gewees het aan die ware God daar bo.
- 29** Was ek ooit bly toe my vyand vernietig is,^f of het ek lekker gekry toe iets slegs met hom gebeur het?
- 30** Ek het nie gesondig deur hom dood te wens nie.^g
- 31** Die manne van my tent sal getuig dat almal van my kos* geëet het en versadig geword het.^h
- 32** Ek het nie vreemdelinge buite laat slaap nie.ⁱ My deur was altyd oop vir reisigers.
- 33** Het ek ooit soos ander mense my sondes probeer bedek^j deur dit in die sak van my kleed weg te steek?
- 34** Was ek bang vir wat mense sou sê of dat ander sleg van my sou dink, en het dit my laat stilbly en gekeer dat ek buitentoe gaan?
- 35** As iemand maar net na my sou luister!^k

31:27 *Lett. "en my hart in die geheim verlei is, en my mond my hand gesoen het". **31:31** *Lett. "vleis".

HFST. 31

a Ps 49:6, 7
1Ti 6:17

b De 8:17, 18

c Est 5:11
Ps 62:10
Spr 11:28

d De 4:19

e De 11:16

f Spr 17:5
Spr 24:17, 18

g Mt 5:44
Ro 12:14

h Ge 18:5
Ro 12:13

i Ge 19:1, 3
Heb 13:2
1Pe 4:9

j Ge 3:8
Spr 28:13
Han 5:8

k Job 19:7

Tweede kol.

a Job 13:22

b Jak 5:4

c 1Kn 21:15

HFST. 32

d Job 6:29
Job 27:6

e Ge 22:20, 21

f Job 10:2, 3

g Eks 20:7
Job 4:18-20
Job 22:2, 3
Job 25:5, 6
Job 42:8

Ek sal my handtekening gee om te bevestig dat ek die waarheid praat.

Laat die Almagtige my antwoord!^a

As my beskuldiger maar net sy klagtes in 'n dokument neergeskryf het!

36 Ek sou dit op my skouers gedra het en soos 'n kroon op my kop gesit het.

37 Ek sou hom 'n verslag gegee het van alles wat ek gedoen het.

Soos 'n leier sou ek vol vertroue na hom toe gegaan het.

38 As my landerye my sou aankla en die vore wat ek geploeg het, saam sou huil;

39 as ek die opbrengs daarvan geëet het sonder dat ek daarvoor betaal het,^b of as ek die eienaars daarvan moed laat verloor het,^c

40 laat dorings dan vir my opkom in plaas van koring, en stink onkruid in plaas van gars."

Die woorde van Job eindig hier.

32 Toe het die drie manne opgehou om Job te probeer antwoord, want hy was oortuig dat hy onskuldig is.^{*d} **2** Maar Eli'hu, die seun van Bara'gel, die Busiet,^e uit die familie van Ram, het baie kwaad geword. Hy was woedend omdat Job probeer bewys het dat hý reg is eerder as God.^f **3** Hy was ook baie kwaad vir Job se drie vriende omdat hulle nie vir hom 'n goeie antwoord kon gee nie en God skuldig verklaar het.^g **4** Eli'hu het gewag voordat hy

32:1 *Of "hy was regverdig in sy eie oë".

Job geantwoord het, want die ander was ouer as hy.^a **5** Toe Eli'hu sien dat die drie mans niks meer gehad het om te sê nie, het hy woedend geword. **6** Eli'hu, die seun van Bara'gel, die Busiet, het toe begin praat en gesê:

“Ek is jonk,
en julle is ouer as ek.^b
Daarom het ek uit respek
stilgebly^c
en nie vir julle gesê wat ek
weet nie.

- 7** Ek het gedink: ‘Laat die ouer mense praat, en laat die bejaardes wysheid bekend maak.’
- 8** Maar dit is die gees in mense, die asem van die Almagtige, wat hulle insig gee.^d
- 9** Mense is nie noodwendig wys net omdat hulle oud is nie, en dit is nie net oumense wat weet wat reg is nie.^e
- 10** Daarom sê ek: ‘Luister na my. Ek sal vir julle sê wat ek weet.’
- 11** Ek het gewag dat julle klaar praat. Ek het na julle redenasies bly luister^f terwyl julle gedink het aan nog dinge om te sê.^g
- 12** Ek het aandagtig na julle geluister, maar nie een van julle kon Job verkeerd bewys* of 'n antwoord op sy argumente gee nie.
- 13** Moet dus nie sê: ‘Ons het wysheid gevind; dit is God wat hom verkeerd bewys, nie 'n mens nie.’
- 14** Job het nie met my gepraat nie,

32:12 *Of “teregwys”.

HFST. 32

a Le 19:32

b Job 15:10

c 1Ti 5:1

1Pe 5:5

d 1Kn 3:12

1Kn 4:29

Job 35:11

Spr 2:6

Pr 2:26

Da 1:17

Mt 11:25

Jak 1:5

e Ps 119:100

Pr 4:13

f Jak 1:19

g Spr 15:28

Tweede kol.

a Mt 9:17

b Le 19:15

Spr 24:23

Jak 3:17

HFST. 33

c Mt 12:34

Lu 6:45

d Ps 119:73

e Ge 2:7

Pr 12:7

Han 17:25

en daarom gaan ek hom nie antwoord met julle argumente nie.

- 15** Hierdie manne is ontsteld, hulle het nie meer antwoorde nie. Hulle het niks meer om te sê nie.
- 16** Ek het gewag, maar hulle praat nie verder nie. Hulle staan net daar, hulle het nie meer antwoorde nie.
- 17** Nou gaan ek praat. Nou gaan ek sê wat ek weet.
- 18** Want ek het baie om te sê. Ek kan dit nie meer inhou nie.*
- 19** My binneste is soos 'n wynsak vol wyn, soos 'n nuwe wynsak wat wil oopbars.^a
- 20** Laat my praat sodat ek verligting kan kry! Ek sal my mond oopmaak en 'n antwoord gee.
- 21** Ek sal niemand se kant kies nie,^b en ek sal niemand vlei nie,
- 22** want ek weet nie hoe om te vlei nie. As ek gewet het, sou my Maker vinnig 'n einde aan my gemaak het.
- 33** “Maar luister asseblief nou na my woorde, Job. Luister na alles wat ek sê.
- 2** Ek moet my mond oopmaak. Ek* moet praat.
- 3** My woorde kom uit my hart,^c en ek sê met opregtheid wat ek weet.
- 4** Die gees van God het my gemaak,^d en die asem van die Almagtige het my lewend gemaak.^e

32:18 *Lett. “Die gees in my dwing my”. 33:2 *Lett. “My tong saam met my verhemelte”.

- 5 Antwoord my as jy kan.
Wees gereed om jou saak te stel.
- 6 Kyk! Voor die ware God is ek net soos jy.
Ek is ook van klei gemaak.^a
- 7 Daarom hoef jy nie vir my bang te wees nie.
Ek gaan dit nie vir jou moeilik maak nie.
- 8 Maar jy het voor my gesê, ja, ek het hierdie woorde bly hoor:
- 9 'Ek is suiwer, ek het nie gesondig nie.^b
Ek is rein, ek het niks verkeerdsgedoen nie.^c
- 10 Maar God vind redes om my teê te staan.
Hy beskou my as sy vyand.^d
- 11 Hy sit my voete in die blok.
Hy ondersoek al my paaië.^e
- 12 Maar wat jy sê, is nie reg nie, en daarom sal ek jou antwoord:
God is baie groter as 'n blote mens.^f
- 13 Hoekom kla jy teen Hom?^g
Is dit omdat hy jou nie geantwoord het op alles wat jy gesê het nie?^h
- 14 Want God praat herhaaldelik, maar niemand skenk aandag nie.
- 15 Hy doen dit in 'n droom, 'n visioen in die nag,ⁱ wanneer mense diep slaap, wanneer hulle vas slaap op hulle bed.
- 16 Dan maak hy hulle ore oop^j en beklemtoon hy* sy instruksies,
- 17 om 'n mens van verkeerde dade weg te hou^k en hom teen trots te beskerm.^l
- 18 God red sy siel* van die dood^m

33:16 *Lett. "druk hy 'n seël op".
33:18, 22, 28 *Of "lewe".

HFST. 33

- a Ge 2:7
- b Job 10:7
Job 16:16, 17
Job 23:11
- c Job 29:14
- d Job 13:24
Job 16:9
Job 19:11
- e Job 13:27
Job 14:16
Job 31:4
- f Job 12:13
Ps 8:4
Jes 40:25
Jes 55:9
- g Jes 45:9
Ro 9:20
- h Job 13:24
- i Nu 12:6
Da 4:5
- j Job 36:10
- k Ge 20:6, 7
Mt 27:19
- l Da 4:24, 25
- m Ge 31:24

Tweede kol.

- a Ps 107:17, 18
- b Job 14:13
- c Job 19:25
Mt 20:28
- d 2Kn 5:14
- e De 34:7
Job 42:16
Ps 103:3-5
- f Ps 30:8
- g 2Sa 12:13
Ps 32:5
Spr 28:13
Lu 15:21
1Jo 1:9
- h Ps 19:14
Jes 38:17

en keer dat hy deur die swaard* doodgemaak word.

- 19 'n Mens kan ook tereggewys word deur pyn op sy siekbed
en deur konstante pyn in sy liggaam.
- 20 Dit laat hom sy eetlus verloor,
en hy wil nie eers die lekkerste kos eet nie.^a
- 21 Hy word so maer dat sy bene begin uitsteek.
- 22 Sy siel* is op pad na die graf toe.
Sy lewe is op pad na dié wat die dood bring.
- 23 As daar 'n boodskapper* na hom toe kom,
een uit 'n duisend wat hom kan verdedig
en vir hom kan sê wat reg is,
24 dan betoon God genade aan hom en sê hy:
'Red hom van die graf!^b
Ek het 'n losprys gevind!^c
- 25 Laat sy liggaam gesonder* word as toe hy jonk was.^d
Laat hy die krag terugkry wat hy as 'n jongmens gehad het.^e
- 26 Hy sal God smEEK.^f God sal hom aanvaar,
en hy sal met vreugde voor Hom verskyn.
God sal hom weer 'n regverdige posisie gee.
- 27 Daardie persoon sal vir mense sê:
'Ek het gesondig;^g en ek het gedoen wat verkeerd is, maar ek het nie ontvang wat ek verdien het nie.*
- 28 Hy het my siel* losgekoop en my gered van die graf,^h en ek sal die lig bly sien.'

33:18 *Of "met 'n wapen". 33:23 *Of "engel". 33:25 *Lett. "vlees frisser".
33:27 *Of moontlik "en dit was nie tot my voordeel nie".

- 29** Ja, God doen al hierdie dinge vir 'n mens, selfs twee of drie keer,
- 30** om hom van die graf te red, sodat hy die lewe kan geniet.^a
- 31** Skenk aandag, Job! Luister na my!
Bly stil, en ek sal verder praat.
- 32** As jy iets wil sê, sê dit vir my.
Praat, want ek wil bewys dat jy reg is.
- 33** As jy niks het om te sê nie, luister dan na my.
Bly stil, en ek sal jou wysheid leer.”
- 34** Eli^h hu het verder gesê:
2 “Luister na my woorde, julle wyse manne.
Hoor wat ek sê, julle wat baie kennis het.
- 3** Want die oor toets woorde, net soos die tong* kos proe.
- 4** Laat ons vasstel wat reg is. Laat ons besluit wat goed is.
- 5** Want Job het gesê: ‘Ek is reg,^b maar God het gekeer dat ek geregtigheid kry.^c
- 6** Moet ek lieg en sê dat ek skuldig is?
My wond is ongeneeslik, al het ek nie gesondig nie.’^d
- 7** Is daar nog 'n man soos Job, wat beledigings drink asof dit water is?
- 8** Hy sit in die geselskap van mense wat slegte dinge doen,
en hy assosieer met goddelose mense.^e
- 9** Want hy het gesê: ‘Dit baat 'n man niks as hy God probeer gelukkig maak nie.’^f

34:3 *Lett. “verhemelte”.

HFST. 33

a Ps 56:13

HFST. 34

b Job 29:14

Job 33:9

c Job 27:2

d Job 9:17,18

e Spr 1:10,15

Spr 4:14

f Job 9:22-24

Job 35:3

Tweede kol.

a Ge 18:25

2Kr 19:7

Ps 92:15

b De 32:4

Ro 9:14

Heb 6:10

c 1Kr 28:9

Ps 62:12

Spr 24:12

Jer 32:19

Ese 33:20

Ro 2:6

2Kor 5:10

Ga 6:7

1Pe 1:17

Op 22:12

d Jak 1:13

e Ps 89:14

Ps 97:2

Ps 99:4

Ro 2:11

f Ps 104:29

Pr 12:7

Jes 42:5

Han 17:25

g Ge 3:19

Ps 146:4

Pr 3:20

h Eks 22:28

Pr 8:2-4

Pr 10:20

i De 10:17

2Kr 19:7

Han 10:34

Ro 2:11

Ef 6:9

j Job 31:13-15

Spr 22:2

k Ps 73:3,19

Han 12:21-23

l Eks 12:29

Da 5:30

m 1Sa 25:38

- 10** Luister dus na my, julle wat insig* het:

Die ware God sal nooit goddeloos optree nie!^a

Die Almagtige sal nooit verkeerd doen nie!^b

- 11** Want hy sal 'n mens beloon volgens wat hy doen^c en sal hom die gevolge van sy dade laat dra.

- 12** God tree beslis nie goddeloos op nie.^d

Die Almagtige is nooit onregverdig nie.^e

- 13** Wie het hom beheer oor die aarde gegee?

En wie het hom oor die hele wêreld aangestel?

- 14** As hy teen die mensdom draai

en besluit om hulle gees en asem weg te neem,^f

- 15** sal alle mense saam sterf en tot die stof terugkeer.^g

- 16** As jy dus insig het, luister tog hierna.

Luister mooi na wat ek sê.

- 17** Kan iemand regeer as hy geregtigheid haat?

Of sal jy 'n magtige persoon wat regverdig is, veroordeel?

- 18** Sal jy vir 'n koning sê: ‘Jy is niks werd nie?’

Of sal jy vir belangrike mense sê: ‘Julle is goddeloos?’^h

- 19** God trek leiers nie voor nie en hy gee nie die rykes meer aandag as die armes nie,ⁱ want hulle almal is die werk van sy hande.^j

- 20** Hulle kan skielik sterf,^k in die middel van die nag.^l

Hulle bewe van vrees en sterf.

Selfs die magtiges word verwyder, maar nie deur mensehande nie.^m

34:10 *Lett. “hart”.

- 21 Want God sien alles wat 'n mens doen,^a en Hy sien elke tree wat hy gee.
- 22 Daar is geen duisternis of diep skaduwee waar mense wat slegte dinge doen, kan wegkruip nie.^b
- 23 Want God stel nie vir enige mens 'n tyd vas om voor hom te verskyn om geoordeel te word nie.
- 24 Hy vernietig magtiges sonder dat hy ondersoek hoef in te stel, en hy stel ander in hulle plek aan.^c
- 25 Want hy weet wat hulle doen.^d In die nag bring hy hulle tot 'n val, en hulle word vernietig.^e
- 26 Hy slaan hulle waar almal kan sien,^f want hulle is goddeloos
- 27 en hulle het opgehou om hom te volg.^g Hulle steur hulle glad nie aan wat hy wil hê nie.^h
- 28 Hulle veroorsaak dat die armes hom smeek om hulle te help, en hy hoor die geroep van die hulpeloses.ⁱ
- 29 Wie kan God veroordeel wanneer hy stilbly? Wie kan hom sien wanneer hy hom verberg? Hetsy vir 'n nasie of vir 'n mens, die resultaat is dieselfde:
- 30 'n Goddelose mens* mag nie regeer^j of strikke stel vir die volk nie.
- 31 Want niemand sal tog vir God sê: 'Ek is gestraf, hoewel ek niks verkeerd gedoen het nie.'^k

34:30 *Of "n Afvallige".

HFST. 34

a Ge 6:5
2Kr 16:9
Job 31:4
Spr 5:21
Spr 15:3
Jer 16:17
Jer 32:19
1Pe 3:12

b Ps 139:11, 12
Jes 29:15
Jer 23:24
Am 9:3
Heb 4:13

c Ese 21:26, 27
Da 2:21
Da 4:25

d Ho 7:2

e 1Sa 4:17
Da 5:30

f Nu 12:10

g 1Sa 15:11

h Ps 28:5

i Eks 22:22, 23
Jak 5:4

j Job 13:16
Job 27:8

k Da 9:7
Ro 3:23

Tweede kol.

a Job 35:16
Job 38:2
Job 42:3

b Job 10:1
Job 19:6

c Job 35:2

HFST. 35

d Job 10:7
Job 16:16, 17
Job 34:5

e Job 9:22-24
Job 34:9
Ps 73:13

f Job 2:11

g Ps 68:34

h Spr 8:36
Spr 9:12

i Spr 19:3

- 32 Wys my as daar iets is wat ek nie sien nie. As ek iets verkeerd gedoen het, sal ek dit nie weer doen nie.'
- 33 Moet hy jou op jou voorwaardes vergoed, terwyl jy sy oordeel verwerp? Jy moet besluit, nie ek nie. Sê vir my wat jy weet.
- 34 Manne met insig* sal vir my sê, enige wyse man wat my hoor, sal sê:
- 35 'Job weet nie waarvan hy praat nie.'^a Hy praat sonder insig.'
- 36 Laat Job* tot die uiterste getoets word, want hy antwoord soos goddelose mense sou antwoord!
- 37 Hy voeg opstandigheid ook nog by sy sondes.^b Hy klap sy hande en sê baie dinge teen die ware God!"^c
- 35** Eli'hu het verder gesê:
2 "Is jy so oortuig dat jy reg is dat jy sou sê: 'Ek is regverdiger as God'?"^d
- 3 Want jy sê: 'Dit maak tog nie vir u* saak nie. Is ek beter af omdat ek nie gesondig het nie?'^e
- 4 Ek sal vir jou en jou vriende^f 'n antwoord gee.
- 5 Kyk op na die hemel. Kyk na die wolke,^g wat ver bo jou is.
- 6 Hoe benadeel dit God as jy sondig?^h Wat doen dit aan hom as jy baie sondes pleeg?ⁱ
- 7 Hoe help dit hom as jy doen wat reg is?

34:34 *Lett. "hart". 34:36 *Of moontlik "My vader, laat Job". 35:3 *Verwys moontlik na God.

Wat ontvang hy van jou?^a

- 8** Net mense word deur jou sondes geraak, en net mense word deur jou regverdigheid geraak.
- 9** Mense roep uit wanneer hulle onderdruk word. Hulle roep uit om bevry te word van die mag* van die sterkes.^b
- 10** Maar niemand sê: 'Waar is God, my Groot Skepper,^c wat mense liedere in die nag laat sing?' nie.^d
- 11** Hy gee meer kennis^e aan ons as aan die diere van die aarde,^f en hy maak ons wyser as die voëls van die hemel.
- 12** Mense roep uit, maar hy antwoord nie,^g as gevolg van die trots van die goddeloses.^h
- 13** God hoor beslis nie 'n leë uitroep* nie.ⁱ Die Almagtige skenk geen aandag daaraan nie.
- 14** Wat nog te sê as jy kla dat hy jou ignoreer!^j Jou regsak is voor hom, en daarom moet jy op hom wag.^k
- 15** Want hy het nie kwaad geword en jou gestraf nie. En hy hou dit nie teen jou dat jy gepraat het sonder om te dink nie.^l
- 16** Job maak sy mond verniet wyd oop. Hy praat baie, maar sonder kennis."^m
- 36** Eli'hu het verder gesê:
2 "Wees nog 'n rukkige geduldig met my terwyl ek verduidelik, want daar is nog dinge wat ek namens God moet sê.

35:9 *Lett. "arm". 35:13 *Of "'n leuen".

HFST. 35

- a Ro 11:35
 b Spr 29:2
 c Jes 51:12, 13
 1Pe 4:19
 d Ps 42:8
 Ps 149:5
 Han 16:25
 e Ps 94:12
 Jes 48:17
 f Ge 1:26
 g Ps 18:41
 h Spr 1:28, 29
 1Pe 5:5
 i Spr 15:29
 Jes 1:15
 Jer 11:11
 j Job 9:11
 k Ps 37:5
 l Ps 103:10-12
 m Job 34:35
 Job 38:2

Tweede kol.

HFST. 36

- a De 32:4
 Ps 11:7
 Ps 139:14
 Da 9:14
 Op 15:3
 b 1Sa 2:3
 Job 37:16
 c Ps 24:8
 Ps 99:4
 Jer 32:18
 d Ps 9:17
 Ps 68:2
 2Pe 2:9
 e Ps 10:14
 Ps 140:12
 Spr 22:22, 23
 f Ps 33:18
 Ps 34:15
 g Ps 78:70, 71
 Ps 113:7, 8
 Jes 9:7
 h Ese 18:30
 i Jer 26:13
 j Job 33:16-18
 Jes 1:19, 20
 Ro 2:8
 k Ps 55:23

- 3** Ek sal alles sê wat ek weet, en ek sal bewys dat my Maker^a regverdig is.
- 4** Wat ek sê, is beslis nie 'n leuen nie. Dit kom van Hom wat volmaakte kennis het.^b
- 5** Kyk! God is magtig^c en verwerp niemand nie. Hy het baie insig.
- 6** Hy sal nie goddelose mense se lewe spaar nie,^d maar hy sorg dat dié wat ly, geregtigheid kry.^e
- 7** Sy oë is altyd op die regverdiges.^f Hy laat hulle as konings op die troon sit,^g en hulle word vir ewig geëer.
- 8** Maar as hulle met kettings gebind word en in toue van lyding vasgevang word,
- 9** dan openbaar hy aan hulle wat hulle gedoen het, hoe hulle oortree het weens hulle trots.
- 10** Hy maak hulle ore oop vir dissipline en sê vir hulle om op te hou doen wat verkeerd is.^h
- 11** As hulle gehoorsaam is en hom dien, sal die res van hulle lewe voorspoedig wees, en hulle jare sal aangenaam wees.ⁱ
- 12** Maar as hulle nie gehoorsaam is nie, sal hulle deur die swaard*^j sterf en sonder kennis doodgaan.
- 13** Die goddeloses* sal kwaad word. Selfs wanneer hy hulle straf, roep hulle nie om hulp nie.
- 14** Hulle sterf terwyl hulle nog jonk is,^k

36:7 *Of moontlik "Hy plaas konings op die troon". 36:12 *Of "'n wapen (spies)". 36:13 *Of "afvalliges".

- en bring hulle lewe deur* saam met manlike tempelprostitute.^a
- 15** Maar in moeilike tye red God dié wat ly.
Hy maak hulle ore oop wanneer hulle verdruk word.
- 16** Hy lei jou uit rampspoed^b na 'n groot plek, waar daar vryheid is,^c en daar sal ryk kos op jou tafel wees om jou te vertroos.^d
- 17** Dan sal jy tevrede wees met die oordeel wat die goddeloses ontvang,^e wanneer hulle geoordeel word en geregtigheid hulle inhaal.
- 18** Maar pasop dat woede jou nie gemeen laat word nie,^f en moenie dat 'n groot omkoopgeskenk jou mislei nie.
- 19** Sal jou geroep om hulp of enige inspanning van jou kant keer dat jy ly?^g
- 20** Moenie na die nag verlang, wanneer mense uit hulle plek verdwyn nie.
- 21** Pasop dat jy nie verkeerde dinge begin doen omdat jy nie langer wil swaarkry nie.^h
- 22** Kyk! God het groot mag. Watter onderrigter is soos hy?
- 23** Wie het vir hom gesê wat om te doen*ⁱ of vir hom gesê: 'Wat u gedoen het, is verkeerd'?^j
- 24** Onthou om hom te loof vir sy dade,^k dade waarvoor mense al gesing het.^l

36:14 *Of moontlik "en hulle lewe eindig". **36:23** *Of moontlik "Wie het hom gekritiseer; rekenskap van hom geëis".

HFST. 36

- a 1Kn 14:24
b Jes 30:21
c Ps 18:19
d Jes 55:2
e Spr 2:22
Jer 25:31
f Spr 19:19
Spr 29:22
g Job 34:20
Ps 33:16
Spr 11:4
h Heb 11:24, 25
i Jes 40:14
j Job 34:10
Ro 9:14
k Ps 92:5
Ps 104:24
l Eks 15:1

Tweede kol.

- a Ps 145:3
Ps 148:13
Op 15:3
b Ps 90:2
Ps 102:25-27
1Ti 1:17
Heb 1:10-12
c Ge 2:6
Am 5:8
d Spr 3:20
Jes 55:10
Jer 14:22
e 2Sa 22:12
f Job 37:3
g Han 14:17
h 2Sa 22:15
Ps 18:14
Ps 144:6

HFST. 37

- i Job 37:11
Ps 97:4
j Job 40:9
Ps 29:3
Ps 68:33

- 25** Die hele mensdom het dit gesien.
Mense kyk van ver af daarna.
- 26** Ja, ons kan nie begryp hoe groot God is nie.^a
Ons kan nie verstaan hoe oud hy is nie.^b
- 27** Hy trek die waterdruppels op,^c en dit kondenseer en vorm mis en reën.
- 28** Dit stroom uit die wolke,^d en reën val op die mensdom.
- 29** Kan enigiemand die wolklae verstaan,
die donderslae vanuit sy tent?^e
- 30** Kyk hoe hy sy weerlig*^f daarvoor uitsprei en die dieptes van die see bedek.
- 31** So sorg hy vir* die volke. Hy gee hulle kos in oorvloed.^g
- 32** Hy hou die weerlig in sy hande,
en gooi dit af op sy teiken.^h
- 33** Sy donderslae kondig hom aan.
Selfs die vee sê wie* op pad is.
- 37** "My hart gaan te kere. Dit sit in my keel.
- 2** Luister aandagtig na die gedreun van God se stem en na die donderslae wat uit sy mond kom.
- 3** Dit word oral onder die hemel gehoor.
Hy stuur sy weerligⁱ tot aan die eindes van die aarde.
- 4** Dan is daar 'n gebrul.
Sy magtige stem dreun,^j en hy hou die weerlig nie terug wanneer sy stem gehoor word nie.

36:30 *Lett. "lig". **36:31** *Of moontlik "So verdedig hy". **36:33** *Of moontlik "wat".

- 5 God se stem dreun^a op 'n wonderlike wyse.
Hy doen groot dinge wat ons nie kan verstaan nie.^b
- 6 Want hy sê vir die sneeu: 'Val op die aarde,'^c
en vir die stortreën: 'Val hard op die grond!'^d
- 7 God laat al die bedrywig-hede van mense tot stilstand kom,*
sodat elke mens Sy werke kan ken.
- 8 Die wilde diere gaan na hulle skuilplekke
en bly in hulle lêplekke.
- 9 Die stormwind waai vanuit sy plek,^e
en die noordewinde bring die koue.^f
- 10 God se asem laat die water ys^g
en laat die wye waters kliphard vries.^h
- 11 Hy laat die wolke swaar word van vog.
Hy verstrooi sy weerligⁱ in die wolke.
- 12 Hulle maal rond waar hy hulle beveel om te gaan.
Regoor die aarde voer hulle sy opdragte uit.^j
- 13 Hy gebruik die wolke om te straf,^k om dit te laat reën of om lojale liefde te betoon.^l
- 14 Luister hierna, Job.
Staan stil en dink goed na oor die wonderlike werke van God.^m
- 15 Weet jy hoe God die wolke beheer
en hoe hy weerlig vanuit sy wolk laat flits?
- 16 Weet jy hoe die wolke sweef?ⁿ
Dit is die wonderlike werke van die Een wat volmaakte kennis het.^o

37:7 *Lett. "plaas 'n seël op die hand van elke mens".

HFST. 37

- a 2Sa 22:14
b Pr 3:11
Op 15:3
c Ps 147:16
d Am 9:6
e Ps 104:3
f Spr 25:23
g Ps 147:16
h Job 38:29, 30
i Job 37:3
j Ps 148:8
k Eks 9:23
1Sa 12:17, 18
l 1Kn 18:45
Job 36:29, 31
Job 38:25-27
Jak 5:17, 18
m Ps 111:2
Ps 145:5
n Job 36:29
o Job 36:4
Ps 18:30
Ps 104:24

Tweede kol.

- a Lu 12:55
b Jes 44:24
c Ro 11:34
d 1Kr 16:27
Ps 8:1
e Ps 145:3
Pr 3:11
Ro 11:33
f 1Kr 29:11
Job 36:22
Jes 40:26
g Die 32:4
Ps 33:5
Ps 37:28
h Ps 11:7
Ps 71:19
i Ps 33:8
Spr 1:7
Mt 10:28
j Spr 3:7
Mt 11:25
Ro 11:20
Ro 12:16
1Kor 1:26

HFST. 38

- k Eks 19:16, 19
1Kn 19:11
l Job 42:3

- 17 Hoekom word jou klere warm
wanneer die aarde stil word as gevolg van die suide-wind?^a
- 18 Kan jy die hemel saam met hom uitsprei^{*b}
soos 'n harde metaalspieël?
- 19 Vertel ons wat ons vir hom moet sê.
Ons kan nie antwoord nie, want ons ken nie die antwoorde nie.
- 20 Moet daar vir hom gesê word dat ek wil praat?
Of het iemand iets gesê wat hy moet hoor?^c
- 21 Hulle kan nie eers die son* sien nie,
hoewel dit helder in die lug skyn.
Die wind moet eers die wolke wegwaai.
- 22 Uit die noorde kom goue prag.
God se majesteit^d is ontsagwekkend.
- 23 Om die Almagtige te verstaan, is buite ons bereik.^e
Sy mag is groot,^f
en hy tree altyd met geregtigheid^g en regverdigheid op.^h
- 24 Daarom moet mense hom vrees.ⁱ
Want mense wat dink dat hulle wys is, het nie sy goedkeuring nie.^j
- 38** Toe het Jehovah Job uit die windstorm geantwoord:^k
- 2 "Wie is dit wat die manier waarop ek dinge doen, bevroegteken en wat sonder kennis praat?^l
- 3 Maak jou asseblief gereed, soos 'n man.

37:18 *Of "uitslaan". 37:21 *Lett. "lig".

- Ek gaan vir jou vrae vra, en jy moet my antwoord.
- 4** Waar was jy toe ek die fondamente van die aarde gelê het?^a
Vertel my, as jy dink dat jy insig het.
- 5** Wie het sy afmetings bepaal? Weet jy miskien? Of wie het dit met 'n maatlyn gemeet?
- 6** Waarop staan sy voetstukke, of wie het sy hoeksteen gelê?^b
- 7** Toe het die môresterre^c saam van vreugde uitgeroep, en al die seuns van God^{*d} het begin juig.
- 8** En wie het die see agter deure geplaas^e toe dit gebore is,
- 9** toe ek dit met wolke geklee en in digte donkerte toegedraai het,
- 10** toe ek met deure en grendels perke daarvoor gestel het?^f
- 11** Ek het toe gesê: "Tot hier mag jy kom, en nie verder nie.
Hier sal jou trotse golwe stop."^g
- 12** Het jy al ooit die oggend beveel om te kom of vir die dagbreek gesê waar dit moet verskyn,^h
- 13** sodat dit oor die aarde kan versprei en die goddeloses kan verdryf?ⁱ
- 14** Dit verander soos klei onder 'n seël, en alles daarop word sigbaar soos die versierings op 'n kledingstuk.
- 15** Maar die lig van die goddeloses word weggenem,

38:7 *'n Hebreeuse uitdrukking wat na die engele verwys.

HFST. 38

a Ge 1:1
Ne 9:6
Ps 136:6
Spr 8:29
Heb 1:10

b Ps 104:5

c Op 22:16

d Ge 6:2
1Kn 22:19

Job 1:6
Job 2:1
Ps 89:6

e Ps 33:7
Spr 8:29

f Ge 1:9
Jer 5:22

g Spr 8:29

h Ge 1:5
Ps 74:16

i Job 24:15
1Te 5:7

Tweede kol.

a Ge 1:2
Ps 77:19

b Ps 9:13
Mt 16:18

c Job 10:21, 22

d Ps 74:17
Ps 89:11

e Jes 45:7

f Job 37:6

g Jos 10:11
Jes 30:30

h Eks 9:24
Ese 13:13

i Ps 135:7

j Job 28:26

k Ps 104:13
Ps 107:35

l Ps 147:7, 8

en hulle hou op om geweld te pleeg.*

- 16** Het jy afgegaan na die bronne van die see, of die diep waters verken?^a
- 17** Is die poorte van die dood^b aan jou geopenbaar, of het jy die poorte van diep duisternis^{*c} gesien?
- 18** Besef jy hoe groot die aarde is?^d
Vertel my, as jy dit alles weet.
- 19** Waar kom die lig vandaan?^e
En waar is die woonplek van die donkerte?
- 20** Kan jy dit na sy gebied neem?
En ken jy die paaie na sy huis?
- 21** Weet jy dit omdat jy reeds gebore was toe ek alles geskep het
en omdat jy baie oud is?
- 22** Het jy in die stoorkamers van die sneeu ingegaan^f of die stoorkamers van die hael gesien,^g
- 23** wat ek gehou het vir die tyd van groot moeilikheid, vir die dag van oorlog en vir die geveg?^h
- 24** Van waar af word die lig^{*} versprei
en van waar af waai die oostewind oor die aarde?ⁱ
- 25** Wie het 'n kanaal vir die vloedwaters gemaak, en 'n pad vir die donderwolk,^j
- 26** om dit te laat reën waar niemand woon nie, in die wildernis waar daar geen mense is nie,^k
- 27** om verwoeste wildernisse te versadig
en gras te laat groei?^l

38:15 *Lett. "die hoë arm word gebreek". **38:17** *Of "van doodskaduwee". **38:24** *Of moontlik "weerlig".

- 28** Het die reën 'n vader,^a
of wie het die doudruppels^b
in die wêreld gebring?
- 29** Wie het die ys voortgebring,
en wie het aan die ryp
van die hemel^c geboorte
gegee?
- 30** Wie laat die boonste laag
van die waters so hard
word soos klip
en die oppervlak van die
diep waters kliphard
vries?^d
- 31** Kan jy die bande van die
Kima-sterrebeeld* vasbind
of die toue van die Kesil-
sterrebeeld^e losmaak?^e
- 32** Kan jy 'n sterrebeeld* op sy
vasgestelde tyd uitbring
of die Asj-sterrebeeld^f lei?
- 33** Ken jy die wette wat die
hemele beheer,^g
of kan jy hulle* gesag op
die aarde laat geld?
- 34** Kan jy die wolke beveel
om stortreën op jou te
laat val?^h
- 35** Kan jy weerligstrale
uitstuur?
Sal hulle vir jou kom sê:
'Hier is ons?'
- 36** Wie het wysheid in die
wolke* geplaas^h
of verstand aan die wonder-
like dinge in die hemel
gegee?^h
- 37** Wie is wys genoeg om die
wolke te tel,
of wie kan die waterkruike
van die hemel omkeer?ⁱ

38:31 *Verwys moontlik na die Plejades-sterregroep in die Bul-sterrebeeld.
#Verwys moontlik na die Orion-sterre-
beeld. **38:32** *Lett. "Massarot". In
2Kn 23:5 verwys 'n verwante woord
in die meervoud na die sterrebeelde
van die dierierem. #Verwys moont-
lik na die Groot Beer-sterrebeeld (Ursa
Major). **38:33** *Of moontlik "Sy".
38:36 *Of moontlik "in die mens".
#Of moontlik "insig aan die verstand
gegee".

HFST. 38

a 1Sa 12:18
Jes 30:23
Jer 5:24

b Ge 27:28

c Ps 147:16

d Job 37:10

e Am 5:8

f Spr 3:19
Jer 31:35
Jer 33:25

g Sag 10:1

h Jer 10:12

i Ps 136:5
Spr 3:20

j Jer 10:13

Tweede kol.

a Ps 104:21
Ps 145:15, 16
Na 2:12

b Ps 147:9
Mt 6:26
Lu 12:24

HFST. 39

c Ps 104:18

d Ps 29:9

e Job 24:5
Ps 104:10, 11

- 38** Wie laat die stof in modder
verander
en die grondkluite aan
mekaar vassit?
- 39** Kan jy vir 'n leeu sy prooi
vang
of vir jong leeus genoeg gee
om te eet^a
- 40** wanneer hulle in hulle skuil-
plekke lê en wag
of in hulle wegkruipplekke
gereedmaak om aan te val?
- 41** Wie gee vir die kraai kos^b
wanneer sy kleintjies na
God roep
en ronddwaal omdat daar
niks is om te eet nie?
- 39** "Weet jy wanneer die
bergbokke geboorte
gee?^c
Het jy gesien hoe takbokke
aan hulle kleintjies
geboorte gee?^d
- 2** Tel jy die maande af wat
hulle dragtig is?
Weet jy wanneer hulle
moet lam?
- 3** Hulle hurk wanneer hulle
geboorte gee,
en hulle geboortepyne kom
tot 'n einde.
- 4** Hulle kleintjies word sterk
en word groot in die
oop veld.
Hulle gaan weg en keer nie
na hulle toe terug nie.
- 5** Wie het die wildedonkie*
vrygelaat,^e
en wie het die toue van die
wildedonkie losgemaak?
- 6** Ek het hom die woestyn
gegee om in te bly,
en die soutvlakte as sy
woonplek.
- 7** Die geraas van die stad
raak hom nie.
Hy hoor nie die uitroep
van die drywer nie.

39:5 *Of "onager".

- 8 Hy dwaal rond op die heuwels op soek na weiding. Hy soek na elke groen plant.
- 9 Sal die wilde bul jou dien?^a Sal hy in jou stal oornag?
- 10 Kan jy 'n wilde bul met toue vasmaak sodat hy vir jou sal ploeg, of sal hy agter jou aanloop om in die vallei te ploeg?
- 11 Sal jy op sy groot krag vertrou en hom jou swaar werk laat doen?
- 12 Sal jy op hom staatmaak om jou oes in te bring, en sal hy dit na jou dorsvloer neem?
- 13 Die vlerke van die volstruis klap vrolik. Maar kan haar vlerke en vere met die ooevaar s'n vergelyk word?^b
- 14 Want sy laat haar eiers op die grond lê, en sy hou hulle in die stof warm.
- 15 Sy vergeet dat 'n voet hulle kan breek of dat 'n wilde dier op hulle kan trap.
- 16 Sy behandel haar kleintjies hard, asof hulle nie aan haar behoort nie.^c Sy is nie bang dat haar moeite dalk tevergeefs sal wees nie.
- 17 Want God het nie vir haar wysheid gegee nie,^{*} en hy het ook nie vir haar verstand gegee nie.
- 18 Maar wanneer sy haar vlerke klap en begin hardloop, lag sy die perd en sy ruiters uit.
- 19 Het jy vir die perd sy krag gegee?^d Het jy sy nek met maanhare bedek?

39:17 * Lett. "het haar wysheid laat ver-geet".

HFST. 39

a De 33:17

b Ps 104:17

Sag 5:9

c Klg 4:3

d Ps 147:10

Jes 31:1

Tweede kol.

a Jer 8:16

b Rig 5:22

Ps 32:9

c Spr 21:31

Jer 46:9

Jer 47:3

Hab 1:8

d Jes 5:28

Jer 8:6

e Jer 46:4

f Spr 23:5

Jes 40:31

g Jer 49:16

Ob 4

h Job 9:26

Jer 49:22

i Mt 24:28

HFST. 40

j Job 33:12, 13

Jes 45:9

- 20 Kan jy hom soos 'n sprin-kaan laat spring? Sy trotse gesnuif is skrikwekkend.^a
- 21 In die vallei kap hy die grond met sy pote, en hy trippel rond.^b Hy storm in die geveg in.^c
- 22 Hy weet nie wat dit is om bang te wees nie.^d Hy hardloop nie weg vir die swaard nie.
- 23 Hy hoor die geskud van die pyle in die pylkoker. Die spies en die werpspies blink in die son.
- 24 Hy bewe van opgewondenheid en spring vorentoe.^{*} Hy kan nie stilstaan wanneer hy die geluid van die horing hoor nie.[#]
- 25 Sodra daar op die horing geblaas word, runnik hy. Van ver af ruik hy die geveg en hoor hy die oorlogskreet en die geskree van die bevelvoerders.^e
- 26 Is dit deur jou insig dat die valk sweef, dat hy sy vlerke na die suide toe uitsprei?
- 27 Of is dit op jou bevel dat 'n arend opvlieg^f en sy nes op 'n hoë plek bou,^g
- 28 dat hy op 'n krans oornag en in 'n veilige plek op 'n hoë krans woon?
- 29 Van daar af soek hy na kos.^h Sy oë kyk in die verte.
- 30 Sy kleintjies slurp bloed op, en waar die lyke is, daar is hy.ⁱ
- 40** Jehovah het verder vir Job gesê:
- 2 "Moet 'n mens fout vind en stry met die Almagtige?^j

39:24 * Lett. "verslind die grond". [#]Of moontlik "Hy glo nie die geluid van die horing nie".

Laat die een wat dink dat hy God kan tereg wys, antwoord gee.”^a

3 Job het toe vir Jehovah gesê:

4 “Ek is eintlik niks.^b
Wat kan ek u antwoord?
Ek sit my hand oor my mond.”^c

5 Ek het een keer gepraat, maar ek sal nie weer iets sê nie.

Ek het 'n tweede keer gepraat, maar ek sal niks meer sê nie.”

6 Toe het Jehovah Job uit die windstorm geantwoord:^d

7 “Maak jou asseblief gereed, soos 'n man.
Ek gaan vir jou vrae vra, en jy moet my antwoord.”^e

8 Bevraagteken jy my geregtigheid?
Veroordeel jy my sodat jy reg kan wees?^f

9 Is jy so magtig soos die ware God,^g
of kan jou stem dreun soos syne?^h

10 Versier jou asseblief met heerlikheid en majesteit.
Beklee jou met waardigheid en prag.

11 Stort jou woede uit.
Kyk na almal wat hoogmoedig is en verlaag hulle.

12 Kyk na almal wat hoogmoedig is en verneder hulle, en vertrap die goddeloses daar waar hulle staan.

13 Begrawe hulle almal in die stof.
Bind hulle vas in die plek van duisternis.

14 Dan sal selfs ek teenoor jou erken*
dat jy jouself kan red.

40:14 *Of “ek jou prys”.

HFST. 40

a Job 13:3
Job 23:3-5
Job 31:35

b Job 42:5, 6

c Ps 39:9
Spr 30:32

d Job 38:1

e Job 38:3
Job 42:4

f Ps 51:4
Ro 3:4

g Eks 15:6
Ps 89:13
Jes 40:26
1Kor 10:22

h Job 37:4
Ps 29:3

Tweede kol.

a Jos 3:15

HFST. 41

b Ps 104:25, 26

15 Hier is die Behemot* wat ek gemaak het net soos ek jou gemaak het.

Hy eet gras net soos 'n bul.

16 Kyk na die krag in sy heupe en na die krag in sy maagspiere!

17 Hy maak sy stert reguit soos 'n sederboom.

Die senings van sy bobene is ineengevleg.

18 Sy gebeente is soos koperpype.

Sy ledemate is soos stukke yster.

19 Hy is die eerste van sy soort onder* God se handewerk.

Net sy Maker kan met Sy swaard tot by hom kom.

20 Hy kry sy kos in die berge, waar al die wilde diere speel.

21 Hy gaan lê onder die doringbosse.

Hy skuil tussen die riete in die vlei.

22 Die doringbosse gee vir hom skaduwee, en die populiere van die valleie* is om hom.

23 As die rivier in vloed is, word hy nie bang nie.

Hy is vol vertroue, al stroom die Jordaanrivier^a by sy kop verby.

24 Kan iemand voor hom staan en hom vang

of 'n haak* in sy neus sit?

41 “Kan jy die Levia'tan*^b met 'n vishoek vang of sy tong met 'n tou afdruk?

2 Kan jy 'n tou deur sy neusgate sit

of 'n haak deur sy kakebene steek?

40:15 *Verwys moontlik na die seekoei. **40:19** *Lett. “die begin van”. **40:22** *Of “wadi”. Sien Woordelys. **40:24** *Of “vangstou”. **41:1** *Verwys moontlik na die krokodil.

- 3 Sal hy jou om genade smeek, of sal hy vriendelik met jou praat?
- 4 Sal hy 'n ooreenkoms met jou maak om vir die res van sy lewe jou slaaf te wees?
- 5 Sal jy met hom speel soos met 'n voël of hom met 'n tou vasbind vir jou dogtertjies?
- 6 Sal handelaars hom wil koop? Sal hulle hom onder hulle verdeel?
- 7 Sal jy sy vel vol harpoene steek,^a of sy kop vol visspiese?
- 8 Sit jou hand op hom. Jy sal die geveg onthou en dit nooit weer doen nie!
- 9 Moenie dink dat jy hom kan mak maak nie. As jy hom sien, word jy lam van vrees.
- 10 Niemand sal dit waag om hom te terg nie. Wie sal dan teen my kan opstaan?^b
- 11 Wie het eerste vir my iets gegee, sodat ek hom moet terugbetaal?^c Alles onder die hemele is myne.^d
- 12 Ek sal nie stilbly oor sy bene, oor sy krag en goed gevormde lyf nie.
- 13 Wie kan sy dik vel verwyder? Wie sal dit waag om naby sy oop kake te kom?
- 14 Wie kan sy kake oopforseer? Sy tande is skrikwekkend.
- 15 Op sy rug is rye skubbe,* wat styf inmekaar pas.
- 16 Hulle is so na aan mekaar dat geen lug tussen hulle kan inkom nie.

41:15 *Of moontlik "Sy trots is sy rye skubbe".

HFST. 41

a Job 41:26

b 2Kr 20:6

Da 4:35

Han 11:17

Ro 9:19

c Ro 11:35

d De 10:14

Ps 24:1

Ps 50:12

1Kor 10:26

Tweede kol.

a Job 41:7

b Jes 41:15

- 17 Die een is vas aan die ander. Hulle lê styf teen mekaar en kan nie geskei word nie.
- 18 Wanneer hy blaas, sien 'n mens vonke spat, En sy oë is soos die strale van die dagbreek.
- 19 Weerligstrale kom uit sy bek, vuurvonke skiet daaruit.
- 20 Rook kom by sy neusgate uit, soos uit 'n oond wat met droë gras gestook word.
- 21 Sy asem laat kole aan die brand slaan, en 'n vlam skiet uit sy bek.
- 22 Daar is groot krag in sy nek, en dié wat hom teëkom, word baie bang.
- 23 Die lae van sy vel* is dig saamgepak. Dit is hard en onbeweeglik, asof dit aan hom gegiet is.
- 24 Sy hart is so hard soos klip. Ja, so hard soos 'n onderste meulsteen.
- 25 Wanneer hy hom oplik, word selfs die sterkes bang. Paniek ontstaan wanneer hy in die water te kere gaan.
- 26 'n Swaard kan niks aan hom doen nie, ook nie 'n spies, pyl of ander wapen nie.^a
- 27 Yster is vir hom soos strooi, en koper soos verrotte hout.
- 28 'n Pyl laat hom nie vlug nie. Slingerklippe is soos grasstoppels teen hom.
- 29 'n Knuppel is vir hom soos 'n grasstoppel, en hy lag oor die geluid van 'n spies.
- 30 Sy onderkant is soos die skerwe van 'n kleipot. Soos 'n dorslee^b gly hy deur die modder.

41:23 *Lett. "vlees".

- 31** Hy laat die diep water kook soos water in 'n pot.
Hy roer die see soos 'n pot salf.
- 32** Agter hom lê 'n blink streep op die water, asof die diep water wit hare het.
- 33** Niks op die aarde kan met hom vergelyk word nie.
Hy is geskep om geen vrees te hê nie.
- 34** Hy kyk dreigend na al die trotse diere.
Hy is koning oor al die magtige wilde diere.”

42 Toe het Job Jehovah geantwoord:

- 2** “Nou weet ek dat u enigiets kan doen en dat niks wat u in gedagte het, vir u onmoontlik is nie.^a
- 3** U het gesê: ‘Wie is dit wat die manier waarop ek dinge doen, sonder kennis bevraagteken?’^b
Ek het sonder insig gepraat oor dinge wat te wonderlik is vir my om te verstaan.^c
- 4** U het gesê: ‘Luister asseblief, en ek sal praat.
Ek gaan vir jou vrae vra, en jy moet my antwoord.’^d
- 5** Tot nou toe het ek net van u gehoor, maar nou sien ek u met my eie oë.
- 6** Daarom trek ek my woorde terug^e
en toon ek berou in stof en as.”^f
- 7** Nadat Jehovah met Job gepraat het, het Jehovah vir E'lifas, die Temaniet, gesê:
“Ek is woedend vir jou en jou twee vriende,^g want julle het nie die waarheid oor my^h gepraat soos my kneg Job nie. **8** Neem dan nou sewe bulle en sewe ram-

HFST. 42

a Ge 18:14
Ps 135:6
Jes 43:13
Jes 55:10, 11
Jer 32:17
Mr 10:27
Lu 18:27

b Job 38:2

c Ps 40:5
Ps 139:6

d Job 38:3
Job 40:7

e Job 40:4

f Esr 9:6
Ps 51:17

g Job 2:11

h Job 11:6
Job 15:14, 15
Job 22:2, 3

Tweede kol.

a Ge 20:17
Jak 5:15

b Mt 6:14

c Job 2:6, 7
Jak 5:11

d Ge 32:10
1Sa 2:7
2Kr 25:9
Spr 22:4
Jes 61:7

e Job 19:13

f Spr 3:33
Spr 10:22
Heb 11:6
Jak 5:11

g Job 1:3

h Job 1:1, 2

me en gaan na my kneg Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. En my kneg Job sal vir julle bid.^a Ek sal sy gebed aanvaar en julle nie vir julle dwaasheid straf nie. Julle het nie die waarheid oor my gepraat soos my kneg Job nie.”

9 Toe het E'lifas, die Temaniet, Bildad, die Suhiet, en Sofar, die Naamatiet, gaan doen wat Jehovah vir hulle gesê het. En Jehovah het Job se gebed aanvaar.

10 Nadat Job vir sy vriende gebid het,^b het Jehovah Job se lyding weggeneem^c en hom weer voorspoedig gemaak. Jehovah het hom twee keer soveel gegee as wat hy voorheen gehad het.^d **11** Al sy broers en susters en al sy vriende van vroeër^e het gekom en 'n maaltyd saam met hom in sy huis geëet. Hulle het met hom gesimpatiseer en hom vertroos oor alles wat Jehovah toegelaat het om oor hom te kom. Elkeen het vir hom geld en 'n goue ring gegee.

12 Jehovah het die laaste deel van Job se lewe meer gegee as die begin,^f en Job het mettertied 14 000 skape, 6 000 kamele, 2 000 beeste en 1 000 donkies* gehad.^g **13** En hy het weer sewe seuns en drie dogters gehad.^h **14** Hy het sy eerste dogter Jemi'ma genoem, die tweede Kesi'a en die derde Keren-Happug. **15** Job se dogters was die mooiste vrouens in die hele land, en hulle pa het hulle 'n erfdeel saam met hulle broers gegee.

16 Job het nog 140 jaar gelewe, en hy het sy kinders en kleinkinders gesien, tot in die vierde geslag. **17** Uiteindelik het Job ná 'n lang en goeie lewe gesterf.

42:12 * Lett. “donkiemerries”.

PSALMS

O O R S I G

- 1 Twee verskillende weë
Verky geluk deur God se wet
te lees (2)
Regverdiges soos vrugbare
boom (3)
Goddeloses soos kaf wat
weggewaai word (4)
- 2 Jehovah en sy gesalfde
Jehovah lag vir nasies (4)
Jehovah huldig sy koning in (6)
Eer die seun (12)
- 3 Vertrou in God ondanks gevaar
"Hoekom so baie vyande?" (1)
"Redding behoort aan Jehovah" (8)
- 4 Gebed van vertrou in God
"Wees kwaad, maar moenie
sondig nie" (4)
'Ek sal in vrede slaap' (8)
- 5 Jehovah beskerm regverdiges
God haat goddeloosheid (4, 5)
"Lei my in u regverdigheid" (8)
- 6 Versoek om genade
Dooies loof God nie (5)
God hoor smeekebede (9)
- 7 Jehovah, 'n regverdige Regter
"Oordeel my, o Jehovah" (8)
- 8 God se heerlikheid; mens se
waardigheid
"Hoe groot is u naam tog!" (1, 9)
"Wat is die sterflike mens dat u aan
hom dink?" (4)
Mens met prag gekroon (5)
- 9 God se wonderlike werke bekend
gemaak
Jehovah, 'n veilige skuilplek (9)
Dié wat God se naam ken, vertrou
op hom (10)
- 10 Jehovah help die hulpeloses
Goddelose sê: "Daar is geen God
nie" (4)
Hulpeloses kom na Jehovah toe (14)
"Jehovah is Koning vir ewig" (16)
- 11 Soek beskerming by Jehovah
"Jehovah is in sy heilige tempel" (4)
God haat enigeen wat geweld
liefhet (5)
- 12 Jehovah staan op om op te tree
God se woorde is suiwer (6)
- 13 Verlange na Jehovah se redding
"Hoe lank, o Jehovah?" (1, 2)
Jehovah beloon ryklik (6)
- 14 Beskrywing van dwase
"Daar is geen Jehovah nie" (1)
"Niemand doen wat goed is nie" (3)
- 15 Wie mag 'n gas in Jehovah se tent
wees?
Hy praat die waarheid in sy hart (2)
Hy laster nie (3)
Hy hou sy beloftes, al is dit sleg
vir hom (4)
- 16 Jehovah, Bron van goeie dinge
'Jehovah is my deel' (5)
'My gedagtes wys my tereg in
die nag' (7)
'Jehovah aan my regterhand' (8)
"U sal my nie in die Graf los nie" (10)
- 17 Gebed vir beskerming
"U het my hart ondersoek" (3)
"In die skaduwee van u vlerke" (8)
- 18 God geloof vir redding
"Jehovah is my groot rots" (2)
Jehovah, lojaal aan lojales (25)
God se weg is volmaak (30)
"U nederigheid maak my groot" (35)
- 19 God se skepping en wet is getuies
'Hemele maak God se heerlikheid
bekend' (1)
God se volmaakte wet gee
nuwe krag (7)
"Sondes waarvan ek nie bewus
is nie" (12)
- 20 Redding vir God se gesalfde koning
'Party vertrou op strydwaens en
perde, maar ons roep Jehovah se
naam aan' (7)
- 21 Seëninge vir koning wat op Jehovah
vertrou
Lang lewe vir koning (4)

- God se vyande sal vernietig word (8-12)
- 22 Van hopeloosheid tot lof
"My God, waarom het u my verlaat?" (1)
"Hulle werp die lot oor my klere" (18)
God word in gemeente geloof (22, 25)
Hele aarde sal God aanbid (27)
- 23 "Jehovah is my Herder"
"Ek sal niks kortkom nie" (1)
"Hy gee my nuwe krag" (3)
"My beker is heeltemal vol" (5)
- 24 Glorieryke Koning gaan by poorte in
"Aan Jehovah assosiasie die aarde" (1)
- 25 Gebed vir leiding en vergifnis
"Leer my u paaie" (4)
"Hegte vriendskap met Jehovah" (14)
"Vergewe al my sondes" (18)
- 26 Die weg van integriteit
"Ondersoek my, o Jehovah" (2)
Vermyn slegte assosiasie (4, 5)
'Ek sal om God se altaar loop' (6)
- 27 Jehovah, vesting van my lewe
Waardering vir God se tempel (4)
Jehovah gee om, al gee ouers nie om nie (10)
"Hoop op Jehovah" (14)
- 28 Psalmis se gebed gehoor
'Jehovah, my sterkte en skild' (7)
- 29 Jehovah se kragtige stem
Aanbidding in heilige klere (2)
God se stem soos donderslae (3)
Jehovah gee sy volk krag (11)
- 30 Getreur in vreugde verander
God se goedkeuring is lewenslank (5)
- 31 Soek beskerming by Jehovah
"In u hand gee ek my gees oor" (5)
"Jehovah, die God van waarheid" (5)
God se oorvloedige goedheid (19)
- 32 Gelukkig is dié wat vergewe word
'Ek het my sonde aan u bely' (5)
God gee insig (8)
- 33 Skepper word geloof
"Sing vir hom 'n nuwe lied" (3)
Skepping deur Jehovah se woord en gees (6)
- Jehovah se nasie is gelukkig (12)
Jehovah se waaksame oog (18)
- 34 Jehovah red sy knegte
"Laat ons sy naam saam verheerlik" (3)
Jehovah se engel beskerm (7)
"Ondervind en sien self dat Jehovah goed is" (8)
'Nie een van sy bene gebreek nie' (20)
- 35 Gebed om van vyande gered te word
Vyande sal weggedryf word (5)
God onder skares geloof (18)
Sonder rede gehaat (19)
- 36 God se kosbare lojale liefde
Goddelose vrees God nie (1)
God, die bron van lewe (9)
"Deur u lig kan ons lig sien" (9)
- 37 Voorspoed vir dié wat op Jehovah vertrou
Moenie ontsteld wees as gevolg van goddeloses nie (1)
"Vind jou grootste vreugde in Jehovah" (4)
"Laat jou weg aan Jehovah oor" (5)
"Die nederiges sal die aarde besit" (11)
Regverdige sal nie na brood soek nie (25)
Regverdiges sal vir ewig op aarde lewe (29)
- 38 Gebed van berouvolle wat ly
"Angstig en baie mismoedig" (6)
Jehovah luister na dié wat op hom wag (15)
"My sonde het my gepla" (18)
- 39 Die lewe is kort
Mens is soos asem (5, 11)
"Moenie my trane ignoreer nie" (12)
- 40 Dank aan onvergelyklike God
God se werke te veel om te noem (5)
Offerandes nie belangrikste vir God nie (6)
'Vreugde om u wil te doen' (8)
- 41 Gebed op siekbed
God ondersteun die sieke (3)
Verraai deur hegte vriend (9)

- 42 God geloof as Groot Redder
Verlang na God soos takbok
na water (1, 2)
"Hoekom het ek alle moed
verloor?" (5, 11)
"Wag op God" (5, 11)
- 43 God is Regter en Redder
"Stuur u lig en u waarheid uit" (3)
"Hoekom het ek alle moed
verloor?" (5)
"Wag op God" (5)
- 44 Gebed vir hulp
'Dit was u wat ons gered het' (7)
Soos "skape wat geslag moet
word" (22)
"Staan tog op as ons helper!" (26)
- 45 Gesalfde koning se huwelik
Aangename woorde (2)
"God is u troon vir ewig" (6)
Koning verlang na bruid se
skoonheid (11)
Seuns as hoofde regoor aarde (16)
- 46 "God is ons skuilplek"
God se verstommende werke (8)
God beëindig oorloë regoor
aarde (9)
- 47 God, Koning oor hele aarde
'Jehovah is ontsagwekkend' (2)
Sing lofliedere vir God (6, 7)
- 48 Sion, stad van die Groot Koning
Vreugde van hele aarde (2)
Ondersoek stad en torings (11-13)
- 49 Onverstandig om op rykdom te
vertrou
Geen mens kan ander loskoop
nie (7, 8)
God koop mense los uit Graf (15)
Rykdom kan nie van die dood red
nie (16, 17)
- 50 God oordeel tussen lojales en
goddeloses
God se verbond deur middel van
'n offerande (5)
"God is Regter" (6)
Alle diere behoort aan God (10, 11)
God openbaar slegtheid van
goddeloses (16-21)
- 51 Gebed van berouvolle
In sonde nog voor geboorte (5)
- "Reinig my van my sonde" (7)
"Skep 'n suiwer hart in my" (10)
Verpletterde hart vir God
aangenaam (17)
- 52 Vertrou in God se lojale liefde
Dié wat oor goddeloosheid spog,
gewaarsku (1-5)
Goddeloses vertrou op rykdom (7)
- 53 Beskrywing van dwases
"Daar is geen Jehovah nie" (1)
"Niemand doen wat goed is nie" (3)
- 54 Gebed vir hulp wanneer vyande dreig
"God is my helper" (4)
- 55 Gebed van iemand wat deur vriend
verraai is
Uitgetart deur hegte vriend (12-14)
"Gee jou las vir Jehovah" (22)
- 56 Gebed tydens vervolging
"In God stel ek my vertrou" (4)
"My trane in u leersak" (8)
"Wat kan 'n mens aan my
doen?" (4, 11)
- 57 Smeekgebed
Beskerming onder God se vlerke (1)
Vyande val in hulle eie strik (6)
- 58 Daar is 'n God wat aarde oordeel
Gebed om goddeloses te straf (6-8)
- 59 God, 'n skild en 'n skuilplek
'Moenie genade betoon aan
verraaiers nie' (5)
"Ek sal van u krag sing" (16)
- 60 God onderwerp vyande
Redding deur mense is
waardeloos (11)
"Deur God sal ons krag kry" (12)
- 61 God, 'n sterk toring teen vyande
'Ek sal 'n gas in u tent wees' (4)
- 62 Ware redding kom van God
"Ek wag in stilte op God" (1, 5)
'Stort julle hart voor God uit' (8)
Mense is soos asem (9)
Moenie op rykdom vertrou nie (10)
- 63 Verlange na God
"U lojale liefde is beter as die
lewe" (3)
"Versadig met die beste" (5)
Peins oor God gedurende nag (6)
'Ek klou vas aan God' (8)

- 64 Beskerming teen slinkse aanvalle
"God sal op hulle skiet" (7)
- 65 God sorg vir aarde
"Hoorder van gebed" (2)
Gelukkig is die een wat deur u gekies word (4)
God se oorvloedige goedheid (11)
- 66 God se ontsagwekkende werke
'Kom en sien God se werke' (5)
"Ek sal my geloftes aan u betaal" (13)
God luister na gebede (18-20)
- 67 Eindes van aarde sal God vrees
God se weg sal bekend wees (2)
'Laat al die volke God prys' (3, 5)
"God sal ons seën" (6, 7)
- 68 'Laat God se vyande verstrooi word'
"Vader van vaderlose kinders" (5)
God gee huis aan dié wat alleen is (6)
Vrouens verkondig goeie nuus (11)
Gawes in vorm van mense (18)
'Jehovah dra elke dag ons vrag' (19)
- 69 Gebed vir redding
"Ywer vir u huis het my verteer" (9)
"Antwoord my gou" (17)
'Hulle het my asyn laat drink' (21)
- 70 Dringende versoek om hulp
"Tree tog gou vir my op" (5)
- 71 Die vertrou van bejaardes
Vertrou op God van jongs af (5)
"Wanneer ek nie meer krag het nie" (9)
'God het my van jongs af geleer' (17)
- 72 Vreedsame heerskappy van God se koning
'Regverdige sal floreer' (7)
Onderdane van see tot see (8)
Redding van geweld (14)
Volop graan op aarde (16)
God se naam sal vir ewig geloof word (19)
- 73 Godvresende man kry sy geestelike balans terug
"My voete het amper afgedwaal" (2)
"Die hele dag lank was ek ongelukkig" (14)
- 'Totdat ek in God se heiligdom ingegaan het' (17)
Goddeloses op glibberige grond (18)
Goed om nader aan God te kom (28)
- 74 Gebed dat God aan sy volk sal dink
God se reddingsdade opgenoem (12-17)
"Dink aan hoe die vyand u uittart" (18)
- 75 God oordeel met regverdigheid
Goddeloses sal uit Jehovah se beker drink (8)
- 76 God se oorwinning oor Sion se vyande
God red nederiges (9)
Trotse vyande sal verneder word (12)
- 77 Gebed in tyd van rampspoed
Dink na oor God se werke (11, 12)
'Wie is so groot soos u, o God?' (13)
- 78 God se sorg; Israel se gebrek aan geloof
Vertel toekomstige geslag (2-8)
'Hulle het nie geloof in God gestel nie' (22)
"Graan van die hemel" (24)
"Hulle het die Heilige van Israel hartseer gemaak" (41)
Van Egipte na Beloofde Land (43-55)
'Hulle het God bly uitdaag' (56)
- 79 Gebed toe nasies God se volk aangeval het
'Ons is 'n bespotting' (4)
'Help ons ter wille van u naam' (9)
"Betaal ons bure sewe keer terug" (12)
- 80 Versoek aan Israel se Herder om weer sy goedkeuring te geniet
"O God, laat ons weer u goedkeuring geniet" (3)
Israel as God se wingerdstok (8-15)
- 81 Aansporing om gehoorsaam te wees
Moenie uitlandse gode aanbid nie (9)
'As julle maar net wou luister' (13)
- 82 Versoek om regverdig te oordeel
God oordeel tussen "die gode" (1)
"Verdedig die hulpeloses" (3)
"Julle is gode" (6)

- 83 Gebed wanneer vyande dreig
 "O God, moenie stilbly nie" (1)
 Vyande soos rolbos (13)
 God se naam is Jehovah (18)
- 84 Verlange na God se groot tabernakel
 Leviet se verlange om soos voël te wees (3)
 "'n Dag in u voorhowe" (10)
 "God is 'n son en 'n skild" (11)
- 85 Gebed om weer God se goedkeuring te geniet
 God sal oor vrede praat met lojales (8)
 Lojale liefde en getrouheid sal ontmoet (10)
- 86 Geen god soos Jehovah nie
 Jehovah gereed om te vergewe (5)
 Al die nasies sal Jehovah aanbid (9)
 'Onderrig my oor u weg' (11)
 "Verenig my hart" (11)
- 87 Sion, stad van ware God
 Dié wat in Sion gebore is (4-6)
- 88 Gebed om van dood gered te word
 "My lewe is op die randjie van die Graf" (3)
 'Elke oggend bid ek tot u' (13)
- 89 Lied oor Jehovah se lojale liefde
 Verbond met Dawid (3)
 Dawid se nageslag sal vir ewig bestaan (4)
 God se gesalfde noem Hom "Vader" (26)
 Verbond met Dawid stewig gevestig (34-37)
 Mens kan nie Graf vryspring nie (48)
- 90 God bestaan vir ewig; mens se lewe is kort
 Duisend jaar is soos gister (4)
 Mens lewe 70-80 jaar (10)
 'Leer ons om ons dae te tel' (12)
- 91 Beskerming in God se geheime plek
 Gered van voëlvanger (3)
 Beskerming onder God se vlerke (4)
 Veilig, al val duisende (7)
 Engele beveel om beskerming te bied (11)
- 92 Jehovah vir ewig hoog bo almal
 Sy groot werke en diep gedagtes (5)
- 'Regverdiges sal floreer soos boom' (12)
 Bejaardes sal aanhou floreer (14)
- 93 Jehovah se glorieryke heerskappy
 "Jehovah het Koning geword!" (1)
 'U herinneringe is betroubaar' (5)
- 94 Gebed dat God wraak sal neem
 "Hoe lank sal die goddeloses aanhou?" (3)
 Jah se dissipline bring geluk (12)
 God sal sy volk nie verlaat nie (14)
 'Moeilikheid in naam van wet' (20)
- 95 Ware aanbidding vereis gehoorsaamheid
 "Vandag, as julle na sy stem luister" (7)
 'Moenie julle hart verhard nie' (8)
 "Hulle sal nie in my rus ingaan nie" (11)
- 96 "Sing vir Jehovah 'n nuwe lied"
 Jehovah verdien al die eer (4)
 Volke se gode is waardeloos (5)
 Aanbid in heilige klere (9)
- 97 Jehovah ver bo ander gode
 "Jehovah het Koning geword!" (1)
 Wees lief vir Jehovah, haat wat sleg is (10)
 Lig vir regverdige (11)
- 98 Jehovah, Redder en regverdige Regter
 Jehovah se redding bekend gemaak (2, 3)
- 99 Jehovah, heilige Koning
 Op sy troon bo gerubs (1)
 'n God wat vergewe en straf (8)
- 100 Skepper word gedank
 "Dien Jehovah met blydskap" (2)
 'Dit is God wat ons gemaak het' (3)
- 101 Heerser wat met integriteit optree
 'Ek sal trots nie verdra nie' (5)
 'Ek sal my oog op getroues hou' (6)
- 102 Gebed van onderdrukte wat hoop verloor het
 "Ek is soos 'n eensame voël" (7)
 "My dae is soos 'n skaduwee" (11)
 "Jehovah sal Sion herbou" (16)
 Jehovah bestaan vir ewig (26, 27)

- 103 “Ek sal Jehovah loof”
 God verwyder ons sondes ver
 van ons af (12)
 God se vaderlike genade (13)
 God hou in gedagte dat ons
 stof is (14)
 Jehovah se troon en koningskap (19)
 Engele voer God se woord uit (20)
- 104 God geloof vir wonders van skepping
 Aarde sal vir ewig bly bestaan (5)
 Wyn en brood vir sterflike mens (15)
 “Hoe baie is u werke!” (24)
 ‘As hulle gees weggeneem word,
 sterf hulle’ (29)
- 105 Jehovah se daede van getrouheid
 teenoor sy volk
 God onthou sy verbond (8-10)
 “Moenie aan my gesalfdes raak
 nie” (15)
 Josef deur God gebruik (17-22)
 God se wonderwerke in
 Egipte (23-36)
 Israel se uittog uit Egipte (37-39)
 God dink aan belofte aan
 Abraham (42)
- 106 Israel se gebrek aan waardering
 Hulle het God se daede gou
 vergeet (13)
 God se heerlikheid verruil vir beeld
 van bul (19, 20)
 Geen geloof in God se belofte
 nie (24)
 Hulle het Baäl begin aanbid (28)
 Kinders aan demone geoffer (37)
- 107 Dank God vir sy wonderlike werke
 Hy het hulle regte pad laat volg (7)
 Hy het hulle dors geles, hulle
 honger gestil (9)
 Hy het hulle uit donkerte
 uitgebring (14)
 Hy het sy woord gestuur en hulle
 genees (20)
 Hy beskerm armes teen
 onderdrukking (41)
- 108 Gebed vir oorwinning oor vyande
 Redding deur mense waardeloos (12)
 “Deur God sal ons krag kry” (13)
- 109 Gebed van man wat teëgestaan
 word
- ‘Laat iemand anders sy amp
 neem’ (8)
 God staan aan arm man se sy (31)
- 110 Koning en priester soos Melgisedek
 ‘Onderwerp jou vyande’ (2)
 Gewillige jongmense soos
 doudruppels (3)
- 111 Prys Jehovah vir sy groot werke
 God se naam is heilig en
 ontsagwekkend (9)
 Vrees vir Jehovah is wysheid (10)
- 112 Regverdige man vrees Jehovah
 Dit sal goed gaan met man wat
 vrygewig is en uitleen (5)
 “Regverdige sal vir ewig onthou
 word” (6)
 Vrygewige gee vir armes (9)
- 113 God in die hoogtes tel hulpelose op
 Jehovah se naam sal vir ewig
 geloof word (2)
 God buig neer (6)
- 114 Israel se verlossing uit Egipte
 See het gevlug (5)
 Berge het soos ramme
 rondgehuppel (6)
 Vuurkliprots in waterfontein
 verander (8)
- 115 Heerlikheid aan God alleen
 Lewelose afgode (4-8)
 Aarde aan mense gegee (16)
 “Dooies loof Jah nie” (17)
- 116 Lied van dankbaarheid
 “Waarmee sal ek Jehovah
 terugbetaal?” (12)
 “Ek sal die beker van redding
 optel” (13)
 “Ek sal my geloftes aan Jehovah
 betaal” (14, 18)
 Dood van lojales ’n groot verlies (15)
- 117 Alle nasies moet Jehovah loof
 God se lojale liefde is groot (2)
- 118 Dank vir Jehovah se oorwinning
 ‘Ek het Jah aangeroep; hy het
 geantwoord’ (5)
 “Jehovah is aan my kant” (6, 7)
 Verwerpte steen sal belangrikste
 hoeksteen word (22)
 ‘Die een wat in Jehovah se naam
 kom’ (26)

- 119 Waardering vir God se kosbare woord
 'Hoe kan jongmense hulle pad rein hou?' (9)
 "Ek is lief vir u herinnering" (24)
 "U woord is my hoop" (74, 81, 114)
 "Hoe lief is ek tog vir u wet!" (97)
 "Meer insig as al my onderrigters" (99)
 "U woord is 'n lamp vir my voet" (105)
 'Inhoud van u woord is waarheid' (160)
 Vrede vir dié wat God se wet liefhet (165)
- 120 Uitlander se verlange na vrede
 'Red my van bedrieglike tong' (2)
 "Ek wil vrede hê" (7)
- 121 Jehovah beskerm sy volk
 "My hulp kom van Jehovah" (2)
 Jehovah slaap nooit nie (3, 4)
- 122 Gebed vir vrede van Jerusalem
 Vreugde om na Jehovah se huis te gaan (1)
 Stad wat hegte eenheid vorm (3)
- 123 Versoek om Jehovah se goedheid
 'Soos slawe, is ons oë op Jehovah' (2)
 "Ons het al te veel bespotting verduur" (3)
- 124 "As Jehovah nie met ons was nie"
 Uit gebreekte strik ontsnap (7)
 "Ons hulp is in die naam van Jehovah" (8)
- 125 Jehovah beskerm sy volk
 "Soos berge Jerusalem omring" (2)
 "Mag daar vrede oor Israel wees" (5)
- 126 Vreugdevolle herstel van Sion
 'Jehovah het groot dinge gedoen' (3)
 Van trane tot vreugde (5, 6)
- 127 Sonder God is alles verniet
 "As Jehovah nie die huis bou nie" (1)
 Kinders, beloning van God (3)
- 128 Gelukkig is dié wat Jehovah vrees
 Vrou soos vrugbare wingerdstok (3)
 "Mag jy Jerusalem sien floreer" (5)
- 129 Aangeval, maar nie oorwin nie
 Dié wat Sion haat, sal vernederd word (5)
- 130 "Uit die dieptes roep ek tot u"
 "As u boekgehou het van oortredings" (3)
 Ware vergifnis by Jehovah (4)
 "Ek wag gretig op Jehovah" (6)
- 131 Tevere soos klein kindjie
 'Ek streef nie na dinge wat te groot is nie' (1)
- 132 Dawid en Sion gekies
 'Moenie u gesalfde verwerp nie' (10)
 Sion se priesters met redding beklee (16)
- 133 Broers wat in eenheid bymekaar woot
 Soos olie op Aäron se kop (2)
 Soos dou van Hermon (3)
- 134 Loof God in die nagte
 "Lig julle hande op in heiligheid" (2)
- 135 Loof Jah vir sy grootheid
 Tekens en wonderwerke teen Egipte (8, 9)
 "U naam bly vir ewig" (13)
 Lewelose afgode (15-18)
- 136 Jehovah se lojale liefde duur vir ewig
 Hemel en aarde met vaardigheid gemaak (5, 6)
 Farao het in Rooisee gesterf (15)
 God dink aan dié wat vernederd is (23)
 Voedsel aan alles wat lewe (25)
- 137 By riviere van Babilon
 Geen liedere van Sion gesing nie (3, 4)
 Babilon sal vernietig word (8)
- 138 Al is God hoog bo alles, gee hy om
 'U het my gebed beantwoord' (3)
 'Selfs tussen gevare red u my' (7)
- 139 God ken sy knegte goed
 Onmoontlik om van God se gees te vlug (7)
 'Ek is wonderlik gemaak' (14)
 'U het my as embrio gesien' (16)
 "Lei my op die weg van die ewigheid" (24)
- 140 Jehovah, die sterk Redder
 Goddelose mense is soos slange (3)
 Gewelddadige mense sal val (11)

- | | |
|--|--|
| <p>141 Gebed vir beskerming
"Mag my gebed wees soos reukwerk" (2)
Regverdige se dissipline is soos olie (5)
Goddeloses val in hulle eie nette (10)</p> <p>142 Gebed om van vervolgers gered te word
"Ek kan nêrens heen vlug nie" (4)
'U is al wat ek het' (5)</p> <p>143 Dors na God soos dorre land
'Ek dink na oor u werke' (5)
"Leer my om u wil te doen" (10)
'Mag u goeie gees my lei' (10)</p> <p>144 Gebed vir oorwinning
'Wat is sterflike mens?' (3)
'Laat vyande verstrooi word' (6)
Gelukkig is Jehovah se volk (15)</p> <p>145 Loof God, die groot Koning
'Ek sal God se grootheid bekend maak' (6)
"Jehovah is goed vir almal" (9)
"U lojales sal u loof" (10)</p> | <p>God se ewige koningskap (13)
God se hand bevredig begeerte van alles wat lewe (16)</p> <p>146 Vertrou op God, nie op mense nie
By dood kom mens se gedagtes tot einde (4)
God help mense op wat onder probleme gebuk gaan (8)</p> <p>147 God geloof vir sy liefdevolle en kragtige werke
Hy genees dié wie se hart gebreek is (3)
Hy noem sterre by naam (4)
Hy stuur sneeu soos wol (16)</p> <p>148 Hele skepping moet Jehovah loof
"Loof hom, al sy engele" (2)
'Loof hom, son, maan en sterre' (3)
Jonk en oud moet God loof (12, 13)</p> <p>149 Lied om God te loof vir sy oorwinning
God vind vreugde in sy volk (4)
Eer behoort aan God se lojales (9)</p> <p>150 Laat alles wat asemhaal, Jah loof
Halleluja! (1, 6)</p> |
|--|--|

BOEK EEN (Psalm 1-41)

- 1** Gelukkig is die man wat nie die raad van die goddeloses volg nie en nie op die weg van sondaars staan nie^a en nie by spotters sit nie.^b
- 2** Maar hy vind vreugde in die wet van Jehovah.^c en dag en nag lees hy Sy wet en dink hy daaroor na.^{*d}
- 3** Hy sal soos 'n boom wees wat by waterstrome geplant is, 'n boom wat vrugte op die regte tyd gee, waarvan die blare nie verlep nie. Alles wat hy doen, sal suksesvol wees.^e

HFST. 1

- a Spr 4:14
b Spr 22:10
c Ps 19:7
Ps 40:8
Ps 112:1
Mt 5:3
Ro 7:22
Jak 1:25
d Jos 1:8
Ps 119:97
1Ti 4:15
e 1Kr 22:13
Jer 17:7, 8

Tweede kol.

- a Mt 25:41
b Mal 3:18
Mt 13:49, 50
c Ps 37:18
Jer 12:3
1Pe 3:12
d Spr 14:12

HFST. 2

- e Han 4:25-28

- 4** Die goddeloses is nie so nie. Hulle is soos die kaf wat deur die wind weggevaai word.
- 5** Daarom sal die goddeloses nie in die oordeel bly staan nie,^a en sondaars sal ook nie in die vergadering van die regverdiges bly staan nie.^b
- 6** Want Jehovah is bewus van die weg van die regverdiges,^c maar die weg van die goddeloses sal tot 'n einde kom.^d
- 2** Hoekom is die nasies so onrustig en beraam die volke nuttelose planne?^{*e}

1:2 *Of "met 'n gedempte stem".

2:1 *Of "mompel (bepeins) die volke iets leegs?"

- 2 Die konings van die aarde neem stelling in, en hoë amptenare span saam* soos een man^a teen Jehovah en teen sy gesalfde.^{#b}
- 3 Hulle sê: "Laat ons hulle kettings afruk en hulle toue van ons af weggooi!"
- 4 Die Een wat op sy troon in die hemel sit, sal lag. Jehovah sal hulle bespot.
- 5 Dan sal hy in sy woede met hulle praat en hulle met sy brandende woede laat bang word.
- 6 Hy sal sê: "Ek het self my koning ingehuldig^c op Sion,^d my heilige berg."^e
- 7 Laat ek die besluit van Jehovah verkondig. Hy het vir my gesê: "Jy is my seun."^e Vandag het ek jou vader geword.^f
- 8 Vra my, en ek sal nasies as jou erfdeel gee, en die eindes van die aarde as jou besitting.^g
- 9 Jy sal hulle met 'n yster-septer breek,^h en jy sal hulle soos 'n kleipot stukkend slaan."ⁱ
- 10 En nou, o konings, toon insig. Aanvaar dissipline,* o regters van die aarde.
- 11 Dien Jehovah met vrees, en wees bly met diep respek.
- 12 Eer* die seun,^j anders sal God[#] kwaad word en sal julle van die weg verwyder word,^k want Sy woede vlam vinnig op.

2:2 *Of "beraadslaag". #Of "sy Christus". 2:10 *Of "Wees gewaarsku". 2:12 *Lett. "Soen". #Lett. "hy".

- HFST. 2
- a Mt 27:1, 2
Lu 23:10, 11
Op 19:19
- b Ps 89:20
Jes 61:1
- c Ps 45:6
Ese 21:27
Da 7:13, 14
Op 19:16
- d 2Sa 5:7
Op 14:1
- e Mt 3:16, 17
Mr 1:9-11
Ro 1:4
- f Han 13:33
Heb 1:5
Heb 5:5
- g Ps 72:8
Heb 1:2
Op 11:15
- h Op 12:5
Op 19:15
- i Da 2:44
Op 2:26, 27
- j Flp 2:9-11
- k Joh 3:36

Tweede kol.

- HFST. 3
- a 2Sa 15:14
- b 2Sa 15:12
2Sa 16:15
- c 2Sa 12:11
- d 2Sa 16:7, 8
- e Ge 15:1
- f Jes 45:25
- g Ps 27:6
- h 2Sa 15:25
Ps 2:6
- i Ps 4:8
Spr 3:24
- j 2Kn 6:15, 16
Ps 27:3
Ro 8:31
- k 1Ti 4:10
- l 2Te 1:6
- m Ps 37:39
Jes 43:11
Op 19:1

- HFST. 4
- n Ps 11:7

Gelukkig is almal wat by Hom beskerming soek.

'n Melodie van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.^a

3 O Jehovah, hoekom het my vyande so baie geword?^b Hoekom is daar so baie wat teen my opstaan?^c

2 Baie sê van my:* "God sal hom nie red nie."^d (*Sela*)[#]

3 Maar u, o Jehovah, is 'n skild rondom my.^e U is my heerlikheid^f en die Een wat my kop oplig.^g

4 Ek sal hardop tot Jehovah roep, en hy sal my antwoord van sy heilige berg af.^h (*Sela*)

5 Ek sal gaan lê en slaap, en ek sal in veiligheid wakker word, want Jehovah hou aan om my te ondersteun.ⁱ

6 Ek is nie bang vir die tienduiseende wat my van alle kante af omsingel nie.^j

7 Staan op, o Jehovah! Red my,^k o my God! Want u sal al my vyande op die kakebeen slaan.

U sal die tande van die goddeloses breek.^l

8 Redding behoort aan Jehovah.^m U seën rus op u volk. (*Sela*)

Vir die musiekleier: Moet met snaarinstrumente begelei word. 'n Melodie van Dawid.

4 Antwoord my wanneer ek roep, o my regverdige God.ⁿ

Gee my 'n uitweg* wanneer ek deur moeilike tye gaan. Betoon genade aan my en hoor my gebed.

3:2 *Of "my siel". #Sien Woordelys. 4:1 *Lett. "Maak breë ruimte vir my".

2 Mense, hoe lank sal julle my eer in vernedering verander?

Hoe lank sal julle lief wees vir wat waardeloos is en soek na wat vals is? (*Sela*)

3 Weet dat Jehovah sy lojale kneg op 'n spesiale manier sal behandel.*

Jehovah sal hoor wanneer ek tot hom roep.

4 Wees kwaad, maar moenie sondig nie.^a

Sê wat julle te sê het in julle hart, op julle bed, en bly stil. (*Sela*)

5 Offer die offerandes van regverdigheid, en vertrou op Jehovah.^b

6 Daar is baie wat vra: "Wie sal ons iets goeds laat sien?"

Betoon goedheid aan ons, o Jehovah.^c

7 U het my hart gevul met groter vreugde as dié wat 'n oorvloedige oes van graan en nuwe wyn het.

8 Ek sal in vrede gaan lê en slaap,^d want u alleen, o Jehovah, laat my in veiligheid woon.^e

Vir die musikleier: Vir Nehilot.*
'n Melodie van Dawid.

5 Luister na my woorde, o Jehovah,^f skenk aandag aan my wanneer ek sug.

2 Skenk aandag aan my geroep om hulp, o my Koning en my God, want ek bid tot u.

3 O Jehovah, u sal my stem in die oggend hoor.^g In die oggend sal ek u vertel wat my bekommer,^h en ek sal hoopvol wag.

4:3 *Of "vir homself sal afsonder".
5:Ops *Sien Woordelys.

HFST. 4

a Ef 4:26

b Ps 37:3
Ps 62:8
Spr 3:5
1Pe 4:19

c Nu 6:26
Ps 80:7
Spr 16:15
1Pe 3:12

d Ps 3:5
Spr 3:24, 26

e Le 25:18

HFST. 5

f Ps 65:2
1Pe 3:12

g Ps 55:16, 17

h Mr 1:35

Tweede kol.

a Ps 89:14
Spr 6:16-19
Hab 1:13

b Ps 15:1-5
Spr 12:19

c Ro 12:9
Heb 1:9

d Spr 20:19
Joh 8:44
Kol 3:9
Op 21:8

e Ge 9:6
Ps 55:23
Spr 6:16, 17
1Pe 3:10

f Ps 69:13

g 1Sa 3:3
1Kr 16:1

h Ps 28:2
Ps 138:2

i Ps 25:4, 5
Ps 27:11

j Spr 29:5
Ro 3:13

k 2Sa 15:31
2Sa 17:23
Ps 7:14, 15

l Ps 40:16

4 Want u is nie 'n God wat bly is oor goddeloosheid nie.^a Niemand wat sleg is, mag by u bly nie.^b

5 Niemand wat hoogmoedig is, mag in u teenwoordigheid staan nie.

U haat almal wat goddeloos optree.^c

6 U sal dié vernietig wat leuens vertel.^d

Jehovah haat mense wat gewelddadig en bedrieglik is.^e

7 Maar danksy u groot lojale liefde^f sal ek in u huis ingaan,^g

en ek sal uit eerbiedige vrees vir u in die rigting van u heilige tempel^h neerbuig.^h

8 Lei my in u regverdigheid, o Jehovah, as gevolg van my vyande, maak u weg gelyk voor my.ⁱ

9 Want niks wat hulle sê, kan vertrou word nie.

Daar is niks behalwe vyandigheid in hulle nie.

Hulle keel is 'n oop graf, en hulle vlei met hulle tong.^j

10 Maar God sal hulle skuldig verklaar.

Hulle eie planne sal hulle ondergang veroorsaak.^k

Mag hulle verdryf word as gevolg van hulle baie oortredings,

want hulle het teen u in opstand gekom.

11 Maar almal wat beskerming by u kom soek, sal bly wees.^l

Hulle sal altyd van vreugde uitroep.

U sal hulle beskerm,*

5:6 *Of "n man van bloedvergieting en bedrog". 5:7 *Of "heiligheid". 5:9 *Of "hulle gebruik 'n gladde tong". 5:11 *Of "toegang tot hulle versper".

en dié wat u naam liefhet,
sal bly wees as gevolg
van u.

- 12** Want u sal almal seën wat regverdig is, o Jehovah, u sal hulle met goedkeuring omring soos met 'n groot skild.^a

Vir die musiekleier: Moet met snaarinstrumente begelei word wat op Sjeminit* ingestem is.
'n Melodie van Dawid.

- 6** O Jehovah, moet my nie in u woede tereg wys nie, en moet my nie in u woede dissiplineer nie.^b
- 2** Betoon genade aan my, o Jehovah, want ek word al hoe swakker. Genees my, o Jehovah,^c want ek* bewe.
- 3** Ja, ek is baie ontsteld,^d en ek vra u, o Jehovah: Hoe lank sal dit wees?^e
- 4** Kom terug, o Jehovah, en red my.^f
Red my ter wille van u lojale liefde.^g
- 5** Want in die dood praat niemand oor u nie.*
Wie sal u in die Graf# loof?^h
- 6** Ek het moeg geword omdat ek so baie sug.ⁱ
Die hele nag laat ek my bed swem in die trane.
My rusbank is oorstrom deur my gehuil.^j
- 7** My oog het swak geword as gevolg van my hartseer.^k
Dit het dof* geword weens al my vyande.
- 8** Gaan weg van my af, almal van julle wat goddeloos optree,
want Jehovah sal hoor hoe ek huil.^l

6:Ops *Sien Woordelys. **6:2** *Lett. "my gebeente". **6:5** *Of "is daar geen herinnering aan u nie". #Of "Sjeool". Sien Woordelys. **6:7** *Of "oud".

HFST. 5

a Ge 15:1
Ps 3:3

HFST. 6

b Ps 38:1
Jer 10:24

c Ps 41:4
Ps 103:2, 3

d Mt 26:38, 39

e Ps 13:1, 2

f Ps 50:15

g Ps 119:88
Klg 3:22

h Ps 30:9
Ps 115:17
Pr 9:5, 10

i Ps 69:3

j Ps 39:12

k Ps 31:9

l Ps 3:4
Ps 145:18, 19
Heb 5:7

Tweede kol.

a Ps 31:22
Ps 40:1
Jon 2:2

b Ps 40:14
Jer 20:11

HFST. 7

c Ps 18:2
Spr 18:10

d Jer 15:15
2Kor 4:9
2Pe 2:9

e Ps 10:9

f Spr 17:13

g Ps 3:7
Ps 35:1

h Ps 103:6

i Ge 18:25
Ps 9:7, 8

- 9** Jehovah sal my smeekgebed hoor.^a
Jehovah sal my gebed aanvaar.

- 10** Al my vyande sal verneder word en moedeloos word, en hulle sal skielik in skande terugtrek.^b

'n Treurlied van Dawid wat hy vir Jehovah gesing het oor die woorde van Kus, die Benjaminiet.

- 7** O Jehovah my God, ek het by u beskerming kom soek.^c

Red my van almal wat my vervolgt.^d

- 2** Anders sal hulle my verskeur soos 'n leeu^e en my wegdra met niemand om my te red nie.

- 3** O Jehovah my God, as ek enigiets verkeers gedoen het,
as ek onregverdig opgetree het,

- 4** as ek die een wat goed is vir my, 'n onreg aangedoen het,^f

of as ek my vyand sonder rede beroof het,*

- 5** laat 'n vyand my dan agternasit en inhaal.
Laat hy my lewe in die grond intrap

en my heerlikheid in die stof laat verdwyn. (*Sela*)

- 6** Staan op in u woede, o Jehovah.

Staan op teen die woede van my vyande.^g

Staan op om my te help en bevel dat geregtigheid uitgevoer word.^h

- 7** Laat die nasies u omsingel, en u sal vanuit die hoogte teen hulle optree.

- 8** Jehovah sal die volke vonnis.ⁱ

7:4 *Of moontlik "terwyl ek die een gespaar het wat my sonder rede teëgestaan het".

Oordeel my, o Jehovah, volgens my regverdigheid en volgens my integriteit.*^a

- 9 Maak asseblief 'n einde aan die slegte dade van die goddeloses. Maar maak die regverdige standvastig,^b want u is die regverdige God^c wat die hart^d en die diepste emosies ondersoek.*^e
- 10 God is my skild,^f die Redder van die opregtes van hart.^g
- 11 God is 'n regverdige Regter,^h en God verkondig sy oordele* elke dag.
- 12 As iemand nie berou toon nie,ⁱ maak Hy sy swaard skerp,^j hy span sy boog en maak dit gereed.^k
- 13 Hy berei sy dodelike wapens voor. Hy maak sy vlammende pyle gereed.^l
- 14 Kyk na die een wat swanger is met goddeloosheid. Hy is swanger met moeilikheid en gee geboorte aan leuens.^m
- 15 Hy graawe 'n gat en maak dit diep, maar hy val in die einste gat wat hy gegrawe het.ⁿ
- 16 Die moeilikheid wat hy veroorsaak, sal op sy eie kop terugkom.^o Sy geweld sal op die kroon van sy kop neerkom.
- 17 Ek sal Jehovah loof vir sy geregtigheid.^p Ek sal liedere sing* om die naam van Jehovah, die Allerhoogste,^q te loof.^r

7:8 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. 7:9 *Of "wat die hart en die niere toets". 7:11 *Of "slinger veroordelings". 7:17 *Of "musiek maak".

HFST. 7

- a Ps 18:20
Ps 26:11
Ps 41:12
b Ps 37:25
c De 32:4
Op 15:3
d 1Sa 16:7
e 1Kr 28:9
Jer 17:10
Op 2:23
f Ge 15:1
Spr 30:5
g Spr 2:21
h Ge 18:25
Ps 9:4
Ps 98:9
i Jes 55:7
j De 32:41
k De 32:21, 23
l De 32:42
m Jak 1:15
n Est 7:10
Ps 10:2
Ps 35:7, 8
Ps 57:6
Spr 26:27
o Est 9:24, 25
p Ps 35:28
q Da 4:17
r Jes 25:1
Heb 13:15
Op 15:4

Tweede kol.

HFST. 8

- a 1Kn 8:27
Ps 104:1
Ps 148:13
b Mt 21:16
Lu 10:21
1Kr 1:27
c Ps 19:1
Ps 104:19
Jes 40:26
Ro 1:20
d Ge 1:29
Ge 9:3
Ps 144:3
Mt 6:25, 30
Joh 3:16
Han 14:17
Heb 2:6-8
e Ge 1:26
Ge 9:1, 2
f Ge 1:28
Ge 9:3

HFST. 9

- g 1Kr 16:12
1Kr 29:11
Op 4:11

Vir die musiekleier: Op die Gittit.*
'n Melodie van Dawid.

- 8 O Jehovah ons Here, hoe groot is u naam tog regoor die aarde, u het u heerlijkheid selfs hoër as die hemel gestel!*^a
- 2 Uit die mond van kinders en kleuters^b het u u krag gevestig as gevolg van u teenstanders, om die vyand en die een wat wraak neem, stil te maak.
- 3 Wanneer ek u hemel sien, die werke van u vingers, die maan en die sterre wat u gemaak het,^c
- 4 wat is die sterflike mens dat u aan hom dink, en 'n mensekind dat u vir hom sorg?^d
- 5 U het hom 'n bietjie laer as goddelike wesens* gemaak, en u het hom met heerlijkheid en prag gekroon.
- 6 U laat hom oor die werke van u hande regeer.^e U het alles onder sy voete geplaas:
- 7 Al die kuddes en beeste, sowel as die wilde diere,^{ff}
- 8 die voëls van die hemel en die visse van die see, enigiets wat deur die paaie van die seë gaan.
- 9 O Jehovah ons Here, hoe groot is u naam tog regoor die aarde!
- Vir die musiekleier: Op Mut-Labben.*
'n Melodie van Dawid.
N [Alef]
- 9 Ek sal u loof, o Jehovah, met my hele hart, ek sal van al u wonderlike werke praat.^g

8:Ops; 9:Ops *Sien Woordelys. 8:1 *Of moontlik "u wie se heerlijkheid bo die hemel bekend gemaak word!" 8:5 *Of "as engele". 8:7 *Lett. "die diere van die veld".

- 2 Ek sal bly wees en van vreugde uitroep as gevolg van u.
Ek sal liedere sing* om u naam te loof, o Allerhoogste.^a
‡ [Bet]
- 3 Wanneer my vyande terugtrek,^b
sal hulle struikel en voor u vernietig word.
- 4 Want u verdedig my regsak met geregtigheid.
U sit op u troon en oordeel met regverdigheid.^c
‡ [Gimel]
- 5 U het nasies bestraf^d en die goddeloses vernietig en hulle naam vir ewig en altyd uitgewis.
- 6 Die vyand is vir ewig verwoes.
U het hulle stede weggee, en daar sal nooit weer aan hulle gedink word nie.^e
‡ [He]
- 7 Maar Jehovah sit vir ewig op sy troon,^f
en hy het sy troon stewig gevestig vir geregtigheid.^g
- 8 Hy sal die bewoonde aarde* in regverdigheid oordeel.^h
Hy sal regverdige regsbesluite vir die nasies neem.ⁱ
‡ [Waw]
- 9 Jehovah sal 'n veilige skuilplek* word vir dié wat onderdruk word,^j
'n veilige skuilplek in moeilike tye.^k
- 10 Dié wat u naam ken, sal op u vertrou.^l
U sal nooit dié verlaat wat u dien* nie, o Jehovah.^m
‡ [Zajin]
- 11 Sing lofliedere vir Jehovah, wat in Sion woon,

9:2 *Of "musiek maak". 9:8 *Of "die vrugbare land". 9:9 *Of "veilige hoogte". 9:10 *Lett. "soek".

HFST. 9

- a Ps 28:7
b Ps 56:9
c Ps 89:14
1Pe 2:23
d De 9:4
e De 25:19
f Ps 90:2
1Ti 1:17
g Ro 14:10
Op 20:11
h Ge 18:25
Ps 85:11
Jes 26:9
i Ps 96:13
Ps 98:9
Han 17:31
j Ps 91:2
k Ps 46:1
Ps 54:7
l Ps 91:14
Spr 18:10
Jer 16:21
m 2Kr 20:12
Ps 25:15
2Kor 1:10

Tweede kol.

- a Ps 96:10
Ps 107:19, 22
Jes 12:3, 4
b Ge 4:9, 10
Ge 9:5
De 32:43
2Kn 9:24, 26
2Kn 24:3, 4
Lu 11:49-51
c Eks 3:7
Ps 72:13, 14
Lu 18:7
d Ps 30:3
Jes 38:9, 10
Op 1:17, 18
e Jer 17:19, 20
f Ps 13:5
Ps 20:5
g De 32:35
Spr 5:22
h Eks 14:4
Jos 2:10
2Kn 19:19
i Spr 26:27
Jes 3:11
j Ps 12:5
Ps 72:4
k Ps 10:17
Mt 5:5

- maak sy dae bekend onder die volke.^a
- 12 Want die Een wat hulle bloed wreek, onthou hulle.^b
Hy sal nie die geroep vergeet van dié wat swaarkry nie.^c
‡ [Get]
- 13 Wees genadig teenoor my, o Jehovah, kyk hoe ek swaarkry as gevolg van dié wat my haat,
u wat my oplig uit die poorte van die dood,^d
- 14 sodat ek u lofwaardige dae bekend kan maak in die poorte van die dogter van Sion.^e
en sodat ek bly kan wees oor u dae van redding.^f
‡ [Tet]
- 15 Die nasies het weggesink in die vanggat wat hulle gegrawe het.
Hulle eie voet is gevang in die net wat hulle weggesteek het.^g
- 16 Jehovah word geken aan die oordeel wat hy voltrek.^h
Die goddelose is verstrik in die werk van sy eie hande.ⁱ
Higgajon.* (Sela)
‡ [Jod]
- 17 Die goddeloses sal terugtrek na die Graf,*
al die nasies wat God vergeet.
- 18 Maar die armes sal nie vir altyd vergeet word nie,^j
en die hoop van die nederiges sal ook nooit verdwyn nie.^k
‡ [Kaf]
- 19 Staan op, o Jehovah!
Moenie toelaat dat die sterflike mens oorwin nie.

9:16 *Sien Woordelys. 9:17 *Of "Sje-oel". Sien Woordelys.

Mag die nasies in u teenwoordigheid geoordeel word.^a

20 Laat hulle baie bang word, o Jehovah,^b

laat die nasies weet dat hulle maar net sterflike mense is. *(Sela)*

↳ [*Lamed*]

10 Hoekom, o Jehovah, staan u op 'n afstand? Hoekom verberg u self in moeilike tye?^c

2 In sy hoogmoed sit die goddelose die hulpelose agterna,^d

maar hy sal gevang word in die planne wat hy uitdink.^e

3 Want die goddelose spog oor sy selfsugtige begeertes,^f en hy seën die gierige persoon.*

↳ [*Noen*]

Hy het geen respek vir Jehovah nie.

4 Omdat die goddelose hoogmoedig is, stel hy geen ondersoek in nie, en hy dink altyd: "Daar is geen God nie."^g

5 Hy is suksesvol in wat hy doen,^h maar hy kan u oordele nie verstaan nie.ⁱ

Hy bespot* al sy vyande.

6 Hy sê in sy hart: "Ek sal altyd staande bly.*" Van geslag tot geslag sal ek nooit rampspoed sien nie."^j

↳ [*Pe*]

7 Sy mond is vol vloekte, leuens en dreigemente.^k Onder sy tong is moeilikheid en skadelike dinge.^l

8 Hy lê en wag naby die dorpies.

HFST. 9

a Ge 18:25

Ps 82:8

b Eks 15:16

Eks 23:27

HFST. 10

c Ps 13:1

Ps 22:1

Jer 14:8

d Eks 14:17

e Ps 7:14, 16

Ps 37:7

Spr 5:22

Spr 26:27

f Eks 15:9

Ho 12:8

g Ps 14:1, 2

Ps 53:1

Sef 1:12

h Ps 37:35

i Jes 26:11

Ho 14:9

j Spr 14:16

Pr 8:11

k Ro 3:14

l Ps 7:14

Ps 12:2

Ps 55:21

Tweede kol.

a Spr 1:10, 11

b Ps 17:9, 11

c Job 38:39, 40

Ps 17:12

Ps 59:3

d Ps 140:5

Jer 5:26

e Pr 8:11

f Ps 73:3, 11

Ps 94:3, 7

Ese 8:12

Ese 9:9

g Ps 3:7

h Mi 5:9

i Ps 9:12

Ps 35:10

j 2Kn 9:26

2Kr 6:23

k 1Pe 4:19

l De 10:17, 18

Ps 146:9

Heb 13:6

m Job 38:15

n Eks 15:18

Ps 145:13

Jer 10:10

Da 4:34

1Ti 1:17

Uit sy wegkruipplek maak hy 'n onskuldige persoon dood.^a

↳ [*Ajin*]

Sy oë is op die uitkyk na 'n slagoffer.^b

9 Hy wag in sy wegkruipplek soos 'n leeu in sy lêplek.*^c

Hy wag om die hulpelose te vang,

en hy vang hom wanneer hy sy net toetrek.^d

10 Die slagoffer word verpletter en neergegooi, en die ongelukkiges beland in sy sterk kloue.

11 Hy sê in sy hart: "God het vergeet.^e

Hy het sy gesig weggedraai. Hy let nooit op nie."^f

↳ [*Kof*]

12 Staan op, o Jehovah.^g O God, lig u hand op,^h Moenie die hulpeloses vergeet nie.ⁱ

13 Hoekom het die goddelose geen respek vir God nie? Hy sê in sy hart: "U sal my nie verantwoordelik hou nie."

↳ [*Resf*]

14 Maar u sien wel wanneer daar moeilikheid en lyding is.

U kyk en u doen iets daaromtrent.^j

Die slagoffer kom na u toe.^k U is die helper van die weeskind.*^l

↳ [*Sjin*]

15 Breek die arm van die goddelose en slegte mens,^m sodat u sy goddeloosheid nie meer sal vind wanneer u daarna soek nie.

16 Jehovah is Koning vir ewig en altyd.ⁿ

10:3 *Of moontlik "die gierige persoon seën homself". 10:5 *Of "blaas teen". 10:6 *Of "nooit wankel nie".

10:9 *Of "bos". 10:14 *Lett. "vaderlose seun".

Die nasies het van die aarde af verdwyn.^a

□ [Tau]

17 Maar u sal die versoek van die nederiges hoor, o Jehovah.^b

U sal hulle hart versterk^c en noukeurig aan hulle aandag skenk.^d

18 U sal geregtigheid gee aan die weeskinders en dié wat verpletter is,^e sodat die sterflike mens van die aarde hulle nie meer sal bang maak nie.^f

Vir die musiekleier. Van Dawid.

11 By Jehovah het ek beskerming gesoek.^g
Hoe kan jy dan vir my sê:
"Vlug soos 'n voël na die berg!

2 Kyk hoe die goddeloses die boog span.

Hulle sit hulle pyl teen die boogenaar om die opregtes van hart vanuit die donker te skiet.

3 Wat kan die regverdige doen wanneer die fundamente* afgebreek word?"

4 Jehovah is in sy heilige tempel.^h

Jehovah se troon is in die hemel.ⁱ

Sy oë sien, sy oplettende* oë ondersoek die mense.^j

5 Jehovah ondersoek die regverdige sowel as die goddelose.^k

Hy* haat elkeen wat geweld liefhet.^l

6 Hy sal vangnet* op die goddeloses laat reën.

Vuur en swael^m en 'n verskroeiende wind is die

11:3 *Of "die fundamente van geregtigheid". **11:4** *Of "stralende". **11:5** *Of "Sy siel; Sy hele wese". **11:6** *Of moontlik "brandende kole".

HFST. 10

a Ps 9:5
Ps 44:2

b Ps 9:18

c 1Kr 29:18, 19

d Spr 15:8
1Pe 3:12

e Ps 72:4

f Jes 51:12

HFST. 11

g 2Kr 14:11
Ps 7:1
Ps 56:11

h Mi 1:2
Hab 2:20

i 2Kr 20:6
Ps 103:19
Op 4:2, 3

j 2Kr 16:9
Spr 15:3
Sag 4:10
Heb 4:13

k Ge 6:5
Ge 7:1

l Spr 3:31
Spr 6:16, 17

m Ge 19:24
Ese 38:22

Tweede kol.

a De 32:4

b Ps 146:8

c Job 36:7
Ps 34:15
1Pe 3:12

HFST. 12

d Ps 28:3

e Eks 15:9, 10
1Sa 2:3
Ese 28:2

f Ps 10:5

g Eks 3:7

h 2Sa 22:31
Ps 19:8

i 1Sa 2:9

deel wat hulle sal ontvang.*

7 Want Jehovah is regverdig,^a en hy is lief vir regverdige dade.^b

Die opregtes van hart sal sy goedkeuring geniet.*^c

Vir die musiekleier: Op die Sjeminit* ingestem. 'n Melodie van Dawid.

12 Red my, o Jehovah, want die lojales het verdwyn.

Daar is nie meer getroue persone onder die mense nie.

2 Hulle lieg vir mekaar, en hulle vlei met hulle lippe* en praat met bedrieglike harte.*^d

3 Jehovah sal alle vleiende lippe afsny, sowel as die tong wat grootpraat,^e

4 dié wat sê: "Met ons tong sal ons oorwin.

Ons gebruik ons lippe soos ons wil.

Niemand sal ons meester wees nie.*^f

5 "As gevolg van dié wat swaarkry en onderdruk word,

as gevolg van die armes wat sug,^g

sal ek opstaan en optree," sê Jehovah.

"Ek sal hulle red van die mense wat hulle bespot."

6 Die woorde van Jehovah is suiwer.^h

Dit is soos silwer wat in 'n kleioond* gesuiwer is, sewe keer gereinig.

7 U sal oor hulle waak, o Jehovah.ⁱ

11:6 *Lett. "sal die deel van hulle beker wees". **11:7** *Lett. "sal sy aangesig sien". **12:Ops** *Sien Woordelys. **12:2** *Lett. "praat met 'n gladde lip". *Lett. "met 'n hart en 'n hart". **12:6** *Of moontlik "'n smeltoond wat op die grond staan".

U sal elkeen van hulle vir ewig teen hierdie geslag beskerm.

- 8** Die goddeloses loop vryelik rond, want die mense bevorder goddeloosheid.^a

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

- 13** Hoe lank, o Jehovah, sal u my vergeet? Vir ewig?

Hoe lank sal u u gesig van my af wegdraai?^b

- 2** Hoe lank moet ek angstig en bekommerd wees, met droefheid in my hart elke dag?

Hoe lank sal my vyand die oorhand hê?^c

- 3** Sien my raak en antwoord my, o Jehovah my God. Gee lig vir my oë, sodat ek nie in die dood gaan slaap nie,

- 4** sodat my vyand nie sal sê: "Ek het hom oorwin!" nie. Moenie toelaat dat my teenstanders bly word oor my ondergang nie.^d

- 5** Ek vertrou op u lojale liefde.^e My hart sal bly wees oor u dade van redding.^f

- 6** Ek sal vir Jehovah sing, want hy het my ryklik beloon.^g

Vir die musiekleier. Van Dawid.

- 14** Die dwaas sê in sy hart: "Daar is geen Jehovah nie."^h

Hulle dade is korrup en hulle optrede is afskuwelik. Nie een van hulle doen wat goed is nie.ⁱ

- 2** Maar Jehovah kyk vanuit die hemel na die mense om te sien of enigiemand in sig het en of enigiemand Jehovah se leiding soek.^j

- 3** Hulle het almal afgedwaal,^k en hulle is almal goddeloos.

HFST. 12
a Pr 8:11

HFST. 13
b Job 13:24
Ps 6:3
Ps 22:2

c Ps 22:7, 8

d Ps 25:2
Ps 35:19

e Ps 52:8
Ps 147:11
1Pe 5:6, 7

f 1Sa 2:1

g Ps 116:7
Ps 119:17

HFST. 14
h Ps 10:4
Jes 29:16

i Ps 53
Ro 3:10-12

j 2Kr 16:9
Ps 33:13-15
Heb 11:6

k Pr 7:29

Tweede kol.

a Eks 15:16

b Ps 9:9
Ps 142:5

c Ro 11:26, 27

HFST. 15
d Ps 2:6
Ps 24:3, 4

e Ps 1:1

f Jes 33:15, 16
Han 10:34, 35

g Spr 3:32
Ef 4:25

h Le 19:16
Ps 101:5
Spr 20:19

i Spr 14:21
Ro 12:17

j Eks 23:1

k Est 3:2

l Jos 9:18-20
Rig 11:34, 35
Ps 50:14
Mt 5:33

Niemand doen wat goed is nie,
nie eers een nie.

- 4** Is daar nie eers een oortreder wat verstaan nie?

Hulle versvind my volk asof hulle brood eet.

Hulle roep Jehovah nie aan nie.

- 5** Maar hulle sal met groot vrees vervul word,^a want Jehovah is met die geslag van die regverdiges.

- 6** Julle, die oortreders, probeer om die planne van die hulpelose te laat misluk,

maar Jehovah is sy skuilplek.^b

- 7** O mag Israel se redding uit Sion kom!^c

Wanneer Jehovah sy gevange volk weer terugbring, laat Jakob bly wees, laat Israel vreugdevol wees.

'n Melodie van Dawid.

- 15** O Jehovah, wie mag 'n gas in u tent wees?

Wie mag op u heilige berg woon?^d

- 2** Die een wat 'n rein lewe lei,^{*e}

wat doen wat reg is^f en wat in sy hart die waarheid praat.^g

- 3** Hy laster nie met sy tong nie,^h

hy doen niks slegs aan sy naaste nieⁱ en hy praat nie sleg van sy vriende nie.^j

- 4** Hy verwerp enigiemand wat afstootlik is,^k maar hy eer dié wat Jehovah vrees.

Hy hou sy belofte,^{*} selfs al is dit sleg vir hom.^l

15:2 *Of "wat in integriteit wandel". Sien Woordelys. 15:4 *Lett. "eed".

5 Hy leen nie sy geld teen rente uit nie,^a en hy aanvaar nie 'n omkoopgeskenk teen die onskuldige nie.^b Die een wat hierdie dinge doen, sal altyd standvastig wees.*^c

'n Miktam* van Dawid.

16 Beskerm my, o God, want ek het by u beskerming kom soek.^d

2 Ek het vir Jehovah gesê: "U is Jehovah, my Bron van goeie dinge.

3 Die heiliges op die aarde, die magtiges, bring vir my groot vreugde."^e

4 Die mense wat ander gode volg, sal baie droefheid ondervind.^f

Ek sal nooit hulle drankoffers van bloed uitgooi nie,

en my lippe sal ook nie hul-
le name noem nie.^g

5 Jehovah is my toegewese deel^h en my beker.ⁱ U bewaar my erfdeel.

6 Aangename plekke is vir my uitgemeet. Ja, ek is baie tevrede met my erfdeel.^j

7 Ek sal Jehovah loof, wat vir my raad gegee het.^k Selfs in die nag wys my diepste gedagtes* my tereg.^l

8 Ek hou Jehovah heeltyd voor my.^m Omdat hy aan my regterhand is, sal ek altyd standvastig wees.*ⁿ

9 Daarom is my hart bly en is my hele wese* vreugdevol.

15:5; 16:8 *Of "nooit wankel nie". 16:Ops *Sien Woordelys. 16:7 *Of "my diepste emosies". Lett. "my niere". 16:9 *Lett. "my heerlikheid".

HFST. 15

a Eks 22:25

b Eks 23:8

c Ps 16:7, 8
Spr 12:3
2Pe 1:10

HFST. 16

d Ps 25:20

e Ps 119:63

f De 8:19
Ps 97:7
Jon 2:8

g Eks 23:13
Jos 23:6, 7

h Ps 73:26

i Ps 23:5

j Ps 78:55

k Jes 48:17

l Ps 17:3
Ps 26:2

m Ps 139:17, 18

n Ps 73:23
Han 2:25-28

Tweede kol.

a Ps 49:15

Han 2:31
Han 3:15
Op 1:17, 18

b Job 14:13, 14
Han 13:34-37

c Spr 12:28

d Ps 21:6
Mt 5:8

HFST. 17

e Ps 145:18

f Ps 37:5, 6

g Ps 11:5
Ps 16:7
1Kor 4:4

h Ps 26:2
Mal 3:3
1Pe 1:6, 7

i Ps 119:9

j Ps 18:36
Ps 94:18
Ps 119:133
Ps 121:3

k Ps 55:16

l Jes 37:17

En ek* woon in veiligheid.

10 Want u sal my* nie in die Graf[#] los nie.^a

U sal nie toelaat dat u lojale kneg in die graf bly nie.^{△b}

11 U maak die pad van die lewe aan my bekend.^c

In u teenwoordigheid* is daar oorfloedige vreugde.^d

Daar is geluk[#] aan u regterhand, vir ewig.

'n Gebed van Dawid.

17 Hoor my smeking om geregtigheid, o Jehovah.

Skenk aandag aan my geroep om hulp.

Luister na my gebed, wat in opregtheid gesê is.^e

2 Oordeel my asseblief in regverdigheid,^f

en mag u oë sien wat reg is.

3 U het my hart ondersoek, u het my in die nag ondersoek,^g

u het my gesuiwer.^h

U sal vind dat ek geen slegte planne beraam het nie, en my mond het nie oortree nie.

4 Maak nie saak wat mense doen nie, ek bly by die woord van u lippe en vermy die paaie van die rower.ⁱ

5 Laat my voetstappe op u spore bly, sodat my voete nie sal struikel nie.^j

6 Ek roep u aan, want u sal my antwoord,^k o God. Skenk aandag aan* my. Hoor my woorde.^l

16:9 *Lett. "my vlees". 16:10 *Of "my siel". #Of "Sjeool". Sien Woordelys. △Of moontlik "begin ontbind nie". 16:11 *Of "Voor u aangesig". #Of "aangenaamheid". 17:6 *Of "Buig neer en luister na".

- 7 Toon u lojale liefde op 'n wonderlike wyse,^a
o Redder van dié wat by u regterhand beskerming soek
teen dié wat teen u in opstand kom.
- 8 Bewaar my soos die appel van u oog.^b
Steek my weg in die skaduwee van u vlerke.^c
- 9 Beskerm my teen die goddeloses wat my aanval, teen my vyande wat my omsingel en my wil doodmaak.^d
- 10 Hulle het ongevoelig geword,
en met hulle mond praat hulle hoogmoedig.
- 11 Nou omsingel hulle ons,^e
en hulle wag vir 'n kans om ons ondergang te veroorsaak.*
- 12 Hy is soos 'n leeu wat gretig is om sy prooi te verskeur, soos 'n jong leeu wat wegkruip en wag vir sy kans.
- 13 Staan op, o Jehovah, om hom teë te staan^f en hom op sy knieë te bring.
Red my van die goddelose met u swaard.
- 14 Red my met u hand, o Jehovah,
van mense van hierdie wêreld,* wie se deel in hierdie lewe is,^g
dié wat u vul met die goeie dinge wat u voorsien^h
en wat 'n erfdeel vir hulle baie kinders agterlaat.
- 15 Maar in regverdigheid sal ek u gesig sien.
Ek is tevrede om wakker te word in u teenwoordigheid.ⁱ

17:11 *Of "om ons op die grond neer te gooi". 17:14 *Of "stelsel van dinge". 17:15 *Of "en u gedaante te sien".

HFST. 17

- a Ps 31:21
Klg 3:22
- b De 32:9, 10
Sag 2:8
- c Rut 2:12
Ps 36:7
Ps 57:1
- d 1Sa 24:11
Ps 35:4
- e 1Sa 23:26
- f Ps 7:6
- g Ps 73:12
- h Mt 5:45
- i Ps 65:4

Tweede kol.

HFST. 18

- a 2Sa 22:1
- b Ps 18:32
Jes 12:2
- c Ps 3:3
Ps 37:39, 40
Ps 40:17
- d De 32:4
- e Ge 15:1
2Sa 22:2-4
- f Ps 50:15
- g 1Sa 20:3
Ps 116:3
- h 2Sa 20:1
2Sa 22:5, 6
Ps 22:16
- i Pr 9:12
- j Ps 11:4
- k 2Sa 22:7
Ps 10:17
Ps 34:15
1Pe 3:12
- l Rig 5:4

m 2Sa 22:8-16
Ps 77:18

n Jes 30:27

Vir die musiekleier. Deur Jehovah se kneg Dawid, wat die woorde van hierdie lied aan Jehovah gerig het nadat Jehovah hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Saul. Hy het gesê:^a

18 Ek is lief vir u, o Jehovah, my sterkte.^b

2 Jehovah is my groot rots en my vesting en die Een wat my red.^c

My God is my rots,^d by wie ek beskerming soek, my skild en my horing* van redding,^e my veilige skuilplek.^{Δe}

3 Ek roep Jehovah aan, wat verdien om geloof te word, en ek sal van my vyande gered word.^f

4 Die toue van die dood was om my.^g
Stortvloede van nikswerd mense het my baie bang gemaak.^h

5 Die toue van die Graf* was om my.

Ek het voor die strikke van die dood te staan gekom.ⁱ

6 In my angstigheid het ek tot Jehovah geroep.

Ek het tot my God om hulp bly roep.

Vanuit sy tempel het hy my stem gehoor,^j

en my geroep om hulp het sy ore bereik.^k

7 Toe het die aarde begin skud en bewe,^l

en die fundamente van die berge het gebewe

en heen en weer geskud omdat hy woedend gemaak is.^m

8 Rook het uit sy neusgate gekom,
en 'n verterende vuur het by sy mond uitgekom.ⁿ

18:2 *Sien Woordelys. ^eOf "my magtige redder". ^ΔOf "veilige hoogte".

18:5 *Of "Sjeepol". Sien Woordelys.

Gloeiende kole het uit hom voortgekóm.

- 9 Hy het die hemel laat buig terwyl hy neergedaal het,^a en daar was digte, donker wolke onder sy voete.^b
- 10 Hy het op 'n gerub gery en aangevlieg gekóm.^c Hy het afgevlieg op die vlerke van 'n gees.^{*d}
- 11 Toe het hy homself met donkerte bedek,^e reg rondom hom as 'n skuiling, donker waters en digte wolke.^f
- 12 Uit die helderheid voor hom het hael en brandende kole deur die wolke gebreek.
- 13 Toe het Jehovah se stem soos donderslae in die hemel gedreun.^g Die Allerhoogste het sy stem laat hoor^h met haelstene en brandende kole.
- 14 Hy het sy pyle geskiet en my vyande verstrooi.ⁱ Hy het sy weerligstrale gegooi en hulle verwar.^j
- 15 Die stroombeddings* het sigbaar geword.^k Die fundamente van die land is deur u straf blootgelê, o Jehovah, deur die geblaas van die asem van u neusgate.^l
- 16 Hy het sy hand vanuit die hoogte uitgestrek. Hy het my gegryp en my uit diep waters getrek.^m
- 17 Hy het my van my sterk vyand gered,ⁿ van dié wat my haat, wat sterker was as ek.^o
- 18 Hulle het my teëgestaan op die dag van my rampspoed,^p

18:10 *Of "die wind". 18:15 *Of "waterkanale".

HFST. 18

- a Ps 144:5
Jes 64:1
b 2Sa 22:10
c Ps 99:1
d Ps 104:3
Heb 1:7
e Ps 97:2
f Job 36:29
g 1Sa 2:10
1Sa 7:10
h 2Sa 22:14
Ps 29:3
i Jes 30:30
j Job 36:32
Ps 144:6
k Ps 74:15
Ps 106:9
Ps 114:1,3
l Eks 15:8
2Sa 22:16
m 2Sa 22:17-20
Ps 124:2-4
n Ps 3:7
o Ps 35:10
p 1Sa 19:11
1Sa 23:26

Tweede kol.

- a Ps 149:4
b 1Sa 26:23
1Kn 8:32
c 1Sa 24:11
2Sa 22:21-25
Ps 24:3,4
d Ps 84:11
e 2Sa 22:24
Spr 14:16
f Jes 3:10
Heb 11:6
g 2Sa 22:25
Spr 5:21
h Ps 97:10
i 2Sa 22:26-31
Job 34:11
Jer 32:19
j Mt 5:8
k Ps 125:5
l Job 34:28
m Spr 6:16,17
Jes 2:11
Lu 18:14
n Ps 97:11
Jes 42:16
o 2Sa 5:19
Heb 11:32-34
p 2Sa 22:30
Flp 4:13

maar Jehovah het my ondersteun.

- 19 Hy het my na 'n veilige plek* uitgebring. Hy het my gered omdat ek sy goedkeuring geniet.^a
- 20 Jehovah beloon my volgens my regverdigheid.^b Hy vergoed my volgens die onskuld* van my hande.^c
- 21 Want ek het die weë van Jehovah gevolg, en ek het nie goddeloos opgetree deur my God te verlaat nie.
- 22 Al sy oordele is voor my. Ek sal sy wetsbepalings nie ignoreer nie.
- 23 Ek sal 'n rein lewe voor hom lei,^{*d} en ek sal oortreding vermy.^e
- 24 Mag Jehovah my beloon volgens my regverdigheid,^f volgens die onskuld van my hande voor hom.^g
- 25 Aan iemand wat lojaal is, is u lojaal.^h Aan iemand wat getrou* is, is u getrou.^{*i}
- 26 Vir die een wat rein is, toon u dat u rein is,^j maar deur die een wat bedrieglik is, word u nie bedrieg nie.^k
- 27 En u red die nederiges,^{*j} maar u verneder die hoogmoediges.^{*m}
- 28 O Jehovah, u is die Een wat my lamp aansteek, my God wat my duisternis lig maak.ⁿ
- 29 Met u hulp kan ek 'n rower-bende bestorm,^o en deur God se krag kan ek teen 'n muur opklim.^p

18:19 *Of "ruim plek". 18:20 *Lett. "reinheid". 18:23 *Of "onberispelik voor hom bly". 18:25 *Of "onberispelik". 18:27 *Of "dié wat swaarkry". *Lett. "hoogmoedige oë".

- 30** Die weg van die ware God is volmaak,^a en die woord van Jehovah is suiwer.^b Hy is 'n skild vir almal wat beskerming by hom kom soek.^c
- 31** Want wie is God buiten Jehovah?^d En wie is 'n rots behalwe ons God?^e
- 32** Die ware God is die Een wat my krag gee,^f en hy sal sorg dat my weg volmaak is.^g
- 33** Hy maak my voete soos dié van 'n takbok. Hy laat my op hoë plekke staan.^h
- 34** Hy leer my hande om oorlog te voer, en my arms kan 'n boog van koper span.
- 35** U gee my u skild van redding,ⁱ u regterhand ondersteun my, en u nederigheid maak my groot.^j
- 36** U maak die pad vir my voetstappe breër, en my voete* sal nie gly nie.^k
- 37** Ek sal my vyande agternasit en hulle inhaal. Ek sal nie terugkeer totdat hulle vernietig is nie.
- 38** Ek sal hulle verpletter sodat hulle nie kan opstaan nie,^l en hulle sal onder my voete val.
- 39** U sal my krag gee vir die geveg, en u sal my vyande onder my laat inmeekaarsak.^m
- 40** U sal my vyande van my af laat terugtrek,*

18:36 *Of "enkels". **18:40** *Of "U sal my die rug van my vyande gee".

HFST. 18

- a De 32:4
Da 4:37
Op 15:3
- b Ps 12:6
Ps 19:8
- c Ps 18:2
Ps 84:11
- d Ps 86:8
Jes 45:5
- e De 32:31
1Sa 2:2
2Sa 22:32-43
- f Ps 84:5,7
- g Jes 26:7
- h Hab 3:19
- i Ge 15:1
De 33:29
Ps 28:7
- j 2Sa 22:36
Ps 113:6-8
- k Ps 17:5
- l Ps 2:8,9
- m Ps 44:5
-
- Tweede kol.**
- a 2Sa 22:41
Ps 34:21
- b 1Sa 30:6
- c 2Sa 8:3
Ps 2:8
- d 2Sa 22:44-46
- e De 33:29
- f De 32:4
- g Eks 15:2
2Sa 22:47-49
- h De 32:35
Na 1:2
Ro 12:19
- i 2Sa 7:9
Ps 59:1
- j De 32:43
Ps 117:1
Jes 11:10
- k 2Sa 22:50,51
1Kr 16:9
Ro 15:9

- en ek sal 'n einde maak aan dié wat my haat.*^a
- 41** Hulle roep om hulp, maar daar is niemand om hulle te red nie. Hulle roep selfs tot Jehovah, maar hy antwoord hulle nie.
- 42** Ek sal hulle so fyn stamp soos stof in die wind. Ek sal hulle uitgooi soos modder in die strate.
- 43** U sal my red van die foutvindery van die volk.^b U sal my as hoof van nasies aanstel.^c 'n Volk wat ek nie geken het nie, sal my dien.^d
- 44** Weens 'n blote berig sal hulle aan my gehoorsaam wees, en uitlanders sal voor my kruip.^e
- 45** Uitlanders sal moed verloor,* en hulle sal bewend uit hulle vestings kom.
- 46** Jehovah lewe! Mag my Rots geloof word!^f Laat die God van my redding verheerlik word.^g
- 47** Die ware God neem wraak vir my.^h Hy onderwerp die volke onder my.
- 48** Hy red my van my woedende vyande. U lig my hoog bo dié wat my aanval,ⁱ en u red my van die man van geweld.
- 49** Daarom sal ek u verheerlik onder die nasies, o Jehovah,^j en ek sal liedere sing* om u naam te loof.^k

18:40 *Of "ek sal dié wat my haat, stilmaak". **18:45** *Of "wegkwyn". **18:49** *Of "musiek maak".

50 Hy verrig groot reddingsdade* vir sy koning.^a
Hy betoon lojale liefde aan sy gesalfde,^b
aan Dawid en sy nageslag,[#]
vir ewig.^c

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

19 Die hemele maak die heerlikheid van God bekend.^d

Die hemelruim* verkondig die werk van sy hande.^e

2 Dag ná dag borrel hulle spraak uit,
en nag ná nag openbaar hulle kennis.

3 Daar is geen spraak en daar is geen woorde nie.
Hulle stem word nie gehoor nie.

4 Maar hulle geluid* het oor die hele aarde uitgegaan, en hulle boodskap tot aan die eindes van die aarde.^{##}
In die hemel het hy 'n tent vir die son opgeslaan.

5 Dit is soos 'n bruidegom wat uit die bruidskamer kom.
Dit is vol vreugde, soos 'n sterk man wat in 'n wedloop hardloop.

6 Dit kom op aan die een einde van die hemel en dit gaan oor na die ander einde daarvan,^g
en niks kan die hitte daarvan ontsnap nie.

7 Die wet van Jehovah is volmaak.^h Dit gee nuwe krag.^{*i}
Die herinnering van Jehovah is betroubaar.^j Dit maak die onervarene wys.^k

18:50 *Of "groot oorwinnings".
#Lett. "saad". 19:1 *Of "uitgestrekte lugruim". 19:4 *Of moontlik "maatlyn".
#Of "vrugbare land". 19:7 *Of "Dit herstel die siel; bring die siel terug".

HFST. 18

a Ps 2:6
Ps 144:10
b 2Sa 7:15-17
1Kn 3:6
c Ps 89:20, 36
Jes 9:7
Lu 1:32, 33
Op 5:5

HFST. 19

d Ps 8:3, 4
Jes 40:22
Ro 1:20
e Ps 150:1
Op 4:11
f Ro 10:18
g Ps 104:19
h Ps 119:72
i Ps 23:3
j Ps 119:111, 129
k Spr 1:5
2Ti 3:15

Tweede kol.

a 2Kr 24:9, 10
b Spr 4:4
Spr 6:23
Mt 6:22
c De 10:12
Spr 1:7
Mal 3:16
d Ps 119:137, 160
Op 16:7
e Ps 119:127
Spr 8:10
f Ps 119:103
Spr 16:24
g Ps 119:11
h Ps 119:165
i 1Kor 4:4
j Ge 20:6
De 17:12
1Sa 15:23
2Sa 6:7
2Kr 26:16-18
k Ps 119:133
l Jes 38:3
m Ps 49:3
Ps 51:15
Ps 143:5
Flp 4:8
n Ps 18:2
o Job 19:25
Jes 43:14

HFST. 20

p Ps 9:10
Spr 18:10

8 Die bevel van Jehovah is regverdig. Dit maak die hart bly.^a

Die gebod van Jehovah is rein. Dit laat die oë straal.^b

9 Die vrees vir Jehovah^c is suiwer. Dit bly vir ewig.
Die oordele van Jehovah is waar. Dit is heeltemal regverdig.^d

10 Dit is begeerliker as goud, as 'n groot hoeveelheid suiwer* goud,^e
en soeter as heuning^f wat uit die heuningkoeke drup.

11 U kneg is daardeur gewaarsku.^g
Wanneer 'n mens dit gehoorsaam, is daar 'n groot beloning.^h

12 Wie kan sy eie foute raaksien?ⁱ
Verklaar my onskuldig van sondes waarvan ek nie bewus is nie.

13 En hou u kneg terug van vermete* dade.^j
Moenie toelaat dat dit my oorheers nie.^k
Dan sal ek volkome wees^l en nie aan ernstige sondes[#] skuldig wees nie.

14 Mag die woorde van my mond en die bepeinsing van my hart aangenaam wees vir u,^m
o Jehovah, my Rotsⁿ en my Verlosser.^o

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

20 Mag Jehovah jou antwoord in die dag van angs.

Mag die naam van die God van Jakob jou beskerm.^p

19:10 *Of "gesuiwerde". 19:13 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. #Of "baie oortredings".

- 2** Mag hy vir jou hulp stuur uit die heiligdom^a en jou ondersteun vanuit Sion.^b
- 3** Mag hy al jou offergawes onthou.
Mag hy jou brandoffer goedkeur en aanvaar.* (*Sela*)
- 4** Mag hy jou die begeertes van jou hart gee^c en al jou planne* suksesvol maak.
- 5** Ons sal van vreugde uitroep as gevolg van u reddingsdade.^d
Ons sal ons baniere in die naam van ons God hoog hou.^e
Mag Jehovah al jou versoeke vervul.
- 6** Nou weet ek dat Jehovah sy gesalfde red.^f
Hy antwoord hom vanuit sy heilige hemel met groot reddingsdade* deur sy regterhand.^g
- 7** Party vertrou op strydwaens en ander op perde,^h maar ons roep die naam van Jehovah ons God aan.ⁱ
- 8** Hulle het inmeekaargestort en geval, maar ons het opgestaan en is herstel.^j
- 9** O Jehovah, red tog die koning!^k
Hy sal ons antwoord op die dag dat ons om hulp roep.^l
Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.
- 21** O Jehovah, die koning is bly as gevolg van u krag.^m
Hoe bly is hy tog oor u reddingsdade!ⁿ
- 2** U het hom die begeerte van sy hart gegee,^o en u het nie die versoek van sy lippe geweier nie. (*Sela*)
- 20:3** *Lett. "as vet beskou". **20:4** *Of "raad". **20:6** *Of "oorwinnings".

- HFST. 20
a 2Kr 20:8, 9
b 2Sa 5:7
Ps 50:2
Ps 134:3
c Ps 21:1, 2
d Ps 59:16
e 1Sa 17:45
f Ps 2:2, 4
g Ps 17:7
h Ps 33:17
Jes 31:1
i 2Kr 14:11
2Kr 20:12
2Kr 32:8
j Rlg 5:31
Ps 125:1
k Ps 18:50
l Ps 44:4
- HFST. 21
m Ps 63:11
n Ps 28:7
o Ps 2:8
Ps 20:4
- Tweede kol.
a 2Sa 12:30
b Ps 13:3
Ps 61:6
c 2Sa 7:8, 9
d Ps 72:17
e Ps 16:11
Ps 45:7
f 1Sa 30:6
g Ps 16:8
h De 32:22
Ps 110:5
Mal 4:1
i Ps 34:16
j Ps 2:1
k Ps 9:3
Ps 56:9

- 3** Want u kom hom tegemoet met ryk seëninge.
U sit 'n kroon van suiwer* goud op sy kop.^a
- 4** Hy het u vir lewe gevra, en u het dit vir hom gegee,^b 'n lang lewe,* vir ewig en altyd.
- 5** U reddingsdade bring vir hom groot heerlikheid.^c
Waardigheid en prag gee u vir hom.
- 6** U maak hom vir ewig geseënd.^d
U maak hom bly met die vreugde van u teenwoordigheid.^e
- 7** Want die koning vertrou op Jehovah.^f
As gevolg van die lojale liefde van die Allerhoogste sal hy altyd standvastig wees.*^g
- 8** U hand sal al u vyande vind.
U regterhand sal u haters vind.
- 9** U sal hulle soos 'n vuuroond maak op die vasgestelde tyd wanneer u u aandag op hulle rig.
Jehovah sal hulle in sy woede vernietig, en vuur sal hulle verteer.^h
- 10** U sal hulle nakomelinge* van die aarde af vernietig, en hulle nageslag onder die mense uit.
- 11** Want hulle wou aan u doen wat sleg is.ⁱ
Hulle het planne beraam wat nie suksesvol sal wees nie.^j
- 12** Want u sal hulle laat terugtrek^k deur u boog* op hulle te mik.
- 21:3** *Of "gesuiwerde". **21:4** *Lett. "lengte van dae". **21:7** *Of "nooit wankel nie". **21:10** *Lett. "vrug". **21:12** *Lett. "boogsnare".

13 Staan op, o Jehovah,
in u krag.
Ons sal lofliedere sing* tot
die eer van u mag.

Vir die musiekleier: Op die wysie van
“Die takbokooi van die dagbreek”.*
n Melodie van Dawid.

22 My God, my God, waarom
het u my verlaat?^a

Waarom is u ver weg wan-
neer ek redding nodig het,
ver weg wanneer ek in pyn
uitroep?^b

2 My God, ek bly roep deur
die dag, en u antwoord
nie,^c
en in die nag bly ek nie stil
nie.

3 Maar u is heilig,^d
omring deur* die lofliedere
van Israel.

4 Op u het ons vaders
vertrou.^e
Hulle het vertrou, en u het
hulle bly red.^f

5 Hulle het tot u geroep, en
hulle is gered.
Hulle het op u vertrou, en
hulle is nie teleurgestel
nie.^g

6 Maar ek is 'n wurm en nie
'n man nie,
iemand wat deur mense be-
spot word* en op wie die
volk neersien.^h

7 Almal wat my sien, spot my,ⁱ
Hulle skud hulle kop terwyl
hulle met my spot en sê:^j

8 “Hy het hom aan Jehovah
toevertrou. Laat Hy hom
verlos!
Laat Hy hom red as Hy so
lief is vir hom!”^k

9 U was die Een wat my uit die
baarmoeder gebring het,^l

21:13 *Lett. “sing en musiek maak”.
22:Ops *Moontlik 'n deuntjie of 'n mu-
siekstyl. **22:3** *Of “op die troon tus-
sen (op)”. **22:6** *Of “n bespotting vir
mense is”.

HFST. 22

a Ps 22:16
Mt 27:46
Mr 15:34

b Heb 5:7

c Ps 42:3

d Jes 6:3
1Pe 1:15

e Ge 15:1, 6

f Eks 14:13
Heb 11:32-34

g Ps 25:2
Ps 99:6
Ro 10:11

h Ps 31:11

Jes 53:3

i Ps 35:16

j Ps 109:25

k Mt 27:41-43
Lu 23:35, 36

l Ps 71:6
Ps 139:16

Tweede kol.

a Ps 10:1

b Lu 23:46
Heb 5:7

c Ps 68:30

d Ese 39:18

e Mt 26:4

f Ps 57:4
1Pe 5:8

g Lu 22:44
Joh 12:27

h Mt 26:38
Mr 14:33

i Spr 17:22

j Joh 19:28

k Jes 53:12
1Kor 15:3, 4

l Ps 59:5, 6
Lu 22:63

m Ps 86:14

n Mt 27:35
Joh 20:25

o Ps 34:20
Joh 19:36

p Mr 15:24
Lu 23:34
Joh 19:23, 24

q Ps 10:1

r Ps 40:13

die Een wat my veilig laat
voel het aan die borste
van my moeder.

10 Ek is van geboorte af in u
sorg geplaas,*
van die baarmoeder af is u
my God.

11 Moenie ver van my af bly
nie, want moeilikheid is
naby,^a
en ek het geen ander
helper nie.^b

12 Baie jong bulle omsin-
gel my.^c
Kragtige bulle van Basan
omring my.^d

13 Hulle maak hulle mond
wyd oop teen my,^e
soos 'n brullende leeu wat
sy prooi verskeur.^f

14 Ek is uitgegooi soos water,
en al my bene is uit lit uit.
My hart het soos was ge-
word,^g
en dit smelt diep binne-
in my.^h

15 My krag het opgedroog soos
'n gebreekte kleipot.ⁱ
My tong sit aan my
verhemelte vas.^j
U bring my af tot in die stof
van die dood.^k

16 Want honde omsingel my,^l
Hulle omring my soos 'n
groep misdadigers.^m
Soos 'n leeu byt hulle my
hande en voete.ⁿ

17 Ek kan al my bene tel.^o
Hulle kyk en staar na my.

18 Hulle verdeel my klere
onder mekaar,
en hulle werp die lot oor
my klere.^p

19 Maar u, o Jehovah, moenie
ver weg bly nie.^q
U is my sterkte. Kom tog gou
en help my.^r

22:10 *Lett. “op u gegooi”.

- 20** Red my van die swaard,
my kosbare lewe* uit die
pote[#] van honde.^a
- 21** Red my uit die bek van die
leu^b en van die horings
van wilde bulle.
Antwoord my en red my.
- 22** Ek sal u naam aan my broers
bekend maak.^c
Ek sal u in die gemeente
loof.^d
- 23** Julle wat Jehovah vrees,
loof hom!
Julle almal van die nage-
slag* van Jakob, verheer-
lik hom!^e
Wees vervul met ontsag vir
hom, julle almal van die
nageslag* van Israel.
- 24** Want hy het nie die lyding
van die onderdrukte geïg-
noreer of sy oë daarvoor
toegemaak nie.^f
Hy het nie sy gesig van hom
af weggedraai nie.^g
Toe hy tot hom om hulp ge-
roep het, het hy gehoor.^h
- 25** Ek sal u loof in die groot
gemeente.ⁱ
Ek sal my geloftes betaal
voor dié wat hom vrees.
- 26** Die nederiges sal eet en
versadig word.^j
Dié wat Jehovah dien,*
sal hom loof.^k
Mag julle[#] vir ewig lewe.
- 27** Die hele aarde sal Jehovah
onthou en na hom terug-
keer.
Al die families van die
nasies sal voor u neer-
buig.^l
- 28** Want die koningskap
behoort aan Jehovah.^m
Hy regeer oor die nasies.

22:20 *Lett. "my enigste een", wat ver-
wys na sy siel, of lewe. #Lett. "hand".
22:23 *Lett. "saad". **22:26** *Lett.
"soek". #Lett. "julle hart".

HFST. 22

- a Ps 22:16
b Ps 35:17
c Joh 17:6
d Ps 40:9
Heb 2:11, 12
e Ps 50:23
f Ps 34:6
Ps 69:33
g Nu 6:25
h Heb 5:7
i Ps 35:18
Ps 40:10
Ps 111:1
j Ps 37:11
Jes 65:13
k Sef 2:3
l Ge 22:18
Op 7:9
Op 15:4
m 1Kr 29:11
Op 11:17

Tweede kol.

HFST. 23

- a Ps 80:1
Jer 23:3
Ese 34:12
1Pe 2:25
b Ps 34:9
Ps 84:11
Mt 6:33
Flp 4:19
Heb 13:5
c Ese 34:13, 14
d Ps 19:7
Ps 51:12
e Ps 31:3
f Job 38:17
g Ps 3:6
Ps 27:1
Jes 41:10
h Jes 43:2
Ro 8:31
i Ps 22:26
Ps 31:19
j Lu 7:46
Jak 5:14
k Ps 16:5
l Ps 103:17
m Ps 15:1-5
Ps 27:4
Ps 65:4
Ps 122:1

- 29** Al die voorspoediges* van
die aarde sal eet en
neerbuig.
Almal wat na die stof af-
gaan, sal voor hom kniel.
Nie een van hulle kan hulle
lewe red nie.

- 30** Hulle nakomelinge* sal
hom dien.
Die geslag wat kom, sal van
Jehovah vertel word.

- 31** Hulle sal kom en van sy
regverdigheid praat.
Hulle sal die mense wat nog
gebore moet word, vertel
wat hy gedoen het.

ⁿ Melodie van Dawid.

- 23** Jehovah is my Herder.^a
Ek sal niks kortkom nie.^b

- 2** In groen weivelde laat hy
my neerlê.
Na rusplekke waar daar baie
water is,* lei hy my.^c
- 3** Hy gee my nuwe krag.^d
Hy lei my op die paaie* van
regverdigheid ter wille
van sy naam.^e
- 4** Al loop ek in die vallei van
diep skaduwee,^f
is ek nie bang vir enige
gevaar nie,^g
want u is met my.^h
U stok en u staf stel my
gerus.*
- 5** U dek vir my 'n tafel voor
my vyande.ⁱ
U verfris* my kop met olie.^j
My beker is heeltemal vol.^k
- 6** Goedheid en lojale liefde sal
my beslis al die dae van
my lewe volg,^l
en ek sal my hele lewe lank
in die huis van Jehovah
woon.^m

22:29 *Lett. "vettes". **22:30** *Lett. "'n
Saad". **23:2** *Of moontlik "Na rustige
waters". **23:3** *Lett. "spore". **23:4**
*Of "vertroos my". **23:5** *Of "smeer".

Van Dawid. 'n Melodie.

- 24** Aan Jehovah behoort die aarde en alles daarop,^a die vrugbare land en dié wat daarop woon.
- 2** Want hy het dit gegrondves op die seë^b en dit stewig gevestig op die riviere.
- 3** Wie mag na die berg van Jehovah opgaan,^c en wie mag in sy heiligdom ontstaan?
- 4** Enigiemand met onskuldige hande en 'n suiwer hart,^d wat nie by My lewe* 'n valse eed afgelê het of 'n eed afgelê het met die doel om te bedrieg nie.^e
- 5** Hy sal seëninge van Jehovah ontvang,^f en regverdigheid* van sy God van redding.^g
- 6** Dit is die geslag van dié wat hom dien,^{*} van dié wat u goedkeuring soek, o God van Jakob. (*Sela*)
- 7** Lig op julle koppe, o poorte.^h Maak oop, o eeue oue ingange, sodat die glorieryke Koning kan ingaan!ⁱ
- 8** Wie is hierdie glorieryke Koning? Jehovah, sterk en magtig,^j Jehovah, magtig in die geveg.^k
- 9** Lig op julle koppe, o poorte.^l Maak oop, o eeue oue ingange, sodat die glorieryke Koning kan ingaan!
- 10** Wie is hy, hierdie glorieryke Koning?

24:4 *Of "My siel", met verwysing na Jehovah se lewe waarby iemand sweer. **24:5** *Of "geregtigheid". **24:6** *Lett. "soek".

HFST. 24

- a 1Kr 29:11
Job 41:11
1Kor 10:26
- b Ge 1:9
Job 38:11
Ps 136:6
Jer 5:22
- c Ps 15:1-5
- d 2Sa 22:21
Jes 33:15, 16
Mt 5:8
- e Ps 34:12, 13
Mal 3:5
- f Ps 128:1-5
- g Jes 12:2
- h Ps 118:19
Ps 122:2
- i 2Sa 6:15
Ps 48:1-3
- j Ps 93:1
- k Eks 15:3
1Sa 17:47
2Kr 20:15
Jes 42:13
- l Ps 118:19

Tweede kol.

- a 1Kr 29:11

HFST. 25

- b Jes 26:3
- c Ro 10:11
- d Ps 41:11
- e Ps 69:6
- f Ps 31:17
- g Eks 33:13
Ps 86:11
Ps 143:8
- h Ps 27:11
- i Ps 43:3
- j Eks 34:6
Jes 55:3
- k Ps 103:17
Ps 136:1
- l Ps 6:4
Ps 51:1
- m Eks 33:19
Ps 27:13
- n Ps 92:15
Ps 119:68
Ps 145:9
Han 14:17

Jehovah van die leërmagte – hy is die glorieryke Koning.^a (*Sela*)

Van Dawid.

¶ [*Alef*]

25 O Jehovah, ek rig my tot u.

□ [*Bet*]

- 2** My God, ek vertrou op u.^b Moenie toelaat dat ek verneder word nie.^c Moenie toelaat dat my vyande lekker kry as gevolg van my ramspoed nie.^d
- λ [*Gimel*]
- 3** Niemand wat op u hoop, sal ooit verneder word nie.^e Maar skande wag op dié wat sonder rede bedrieglik is.^f
- ⌋ [*Dalet*]
- 4** Maak u weë aan my bekend, o Jehovah.^g Leer my u paaie.^h
- ⌋ [*He*]
- 5** Laat my u weg van waarheid volg en leer my,ⁱ want u is my God van redding.
- ⌋ [*Waw*]
- Op u hoop ek die hele dag.
- ⌋ [*Zajin*]
- 6** Onthou u genade, o Jehovah, en u lojale liefde,^j wat u nog altyd betoon het.^{*k}
- ⌋ [*Get*]
- 7** Moenie die sondes van my jong dae en my oortredings onthou nie. Onthou my in ooreenstemming met u lojale liefde,^l ter wille van u goedheid, o Jehovah.^m
- ⌋ [*Tet*]
- 8** Jehovah is goed en regverdig.ⁿ

25:6 *Of "wat van die ou tyd af bestaan".

Daarom leer hy sondaars
hoe om te lewe.^a

↳ [Jod]

- 9 Hy sal die nederiges lei in
wat reg is,^b
en hy sal die nederiges sy
weg leer.^c

↳ [Kaf]

- 10 Al die paaie van Jehovah is
lojale liefde en getrouheid
vir dié wat sy verbond hou^d
en sy herinneringe ge-
hoorsaam.^e

↳ [Lamed]

- 11 Ter wille van u naam,
o Jehovah,^f
vergewe tog my oortreding,
al is dit groot.

↳ [Mem]

- 12 Wie is die man wat Jehovah
vrees?^g
Hy sal hom leer watter weg
hy moet kies.^h

↳ [Noen]

- 13 Hy sal ondervind wat
goed is,ⁱ
en sy nakomelinge* sal die
aarde in besit neem.^j

↳ [Samek]

- 14 Hegte vriendskap met
Jehovah behoort aan
dié wat hom vrees,^k
en hy maak sy verbond aan
hulle bekend.^l

↳ [Ajin]

- 15 My oë is altyd op Jehovah,^m
want hy sal my voete uit die
net bevry.ⁿ

↳ [Pe]

- 16 Draai u gesig na my toe en
wees genadig teenoor my,
want ek is alleen en hulpe-
loos.

↳ [Tsade]

- 17 Die angs in my hart het
erger geword.^o
Bevry my van my angs.

25:9 *Lett. "in oordeel". 25:13 *Lett.
"saad".

HFST. 25

a Ps 119:33
Jes 30:20
Mi 4:2

b Sef 2:3

c Ps 32:8

d De 29:1

e Ps 19:7

f Ps 31:3
Ps 79:9
Ps 109:21
Ps 143:11
Ese 36:22
Da 9:19
Mt 6:9

g Ps 111:10

h Ps 37:23

i Ps 31:19

j Ps 37:11

k Spr 3:32
Joh 15:15

l Ge 18:17
Ge 22:17
Am 3:7

m Ps 141:8

n Ps 91:3
Ps 124:6-8

o Ps 73:21

Tweede kol.

a 2Sa 16:12

b Ps 32:5
Ps 51:9

c Ps 17:8
Ps 121:7

d Ps 41:12

e Ps 37:34

HFST. 26

f 2Kn 20:3

g Ps 21:7

h Ps 17:3
Ps 66:10

i Ps 43:3
Ps 86:11

j Jer 15:17

k Ps 139:21

l Ps 1:1

↳ [Resj]

- 18 Sien hoe ek swaarkry
en watter probleme ek
ondervind.^a
en vergewe al my sondes.^b

- 19 Kyk hoe baie vyande het ek
en hoe intens hulle my haat.

↳ [Sjin]

- 20 Bewaar my lewe en red my.^c
Moenie toelaat dat ek ver-
neder word nie, want ek
het beskerming by u
kom soek.

↳ [Taw]

- 21 Laat integriteit* en getrou-
heid my bewaar,^d
want ek hoop op u.^e

- 22 O God, red* Israel uit al sy
moeilikhede.

Van Dawid.

- 26** Oordeel my, o Jehovah,
want ek het 'n weg van
integriteit* gevolg.^f

Ek het op Jehovah vertrou
sonder om te twyfel.^g

- 2 Ondersoek my, o Jehovah,
en toets my.

Suiwer my diepste gedag-
tes* en my hart.^h

- 3 Want u lojale liefde is altyd
voor my,
en ek volg die weg van u
waarheid.ⁱ

- 4 Ek assosieer nie met*
bedrieglike mense nie,^j
en ek vermy mense wat
wegsteek wat hulle is.^k

- 5 Ek haat die geselskap van
slegte mense,^k
en ek weier om te assosieer
met* die goddeloses.^l

- 6 Ek sal my hande in onskuld
was,

25:21; 26:1 *Of "onkreukbaarheid".
Sien Woordelys. 25:22 *Lett. "ver-
los". 26:2 *Of "my diepste emosies".
Lett. "my niere". 26:4 *Lett. "sit nie
by". *Of "ek meng nie met skynheili-
ges nie". 26:5 *Lett. "sit by".

- en ek sal om u altaar loop,
o Jehovah,
7 om die geluid van dank-
segging te laat hoor.^a
en om al u wonderlike werke
bekend te maak.
8 Jehovah, ek is lief vir die
huis waar u woon,^b
die plek waar u heerlik-
heid is.^c
9 Moet my nie saam met
sondaars wegvee^d
of my lewe wegneem saam
met gewelddadige* men-
se nie.
10 Hulle hande doen skandeli-
ke dinge,
en hulle regterhand is vol
omkoopgeskenke.
11 Maar wat my betref, ek sal
'n weg van integriteit*
volg.
Red[#] my en wees genadig
teenoor my.
12 My voet staan op vaste
grond.^e
In die groot gemeente* sal
ek Jehovah loof.^f

Van Dawid.

- 27** Jehovah is my lig^g en my
redding.
Vir wie moet ek bang wees?^h
Jehovah is die vesting van
my lewe.ⁱ
Wie moet ek vrees?
2 Toe goddelose mense my
aangeval het om my vlees
te verslind,^j
was dit my teenstanders en
my vyande wat gestruikel
en geval het.
3 Al slaan 'n leërmag kamp op
rondom my,
sal my hart nie vrees nie.^k
Al breek oorlog teen my uit,
sal ek selfs dan vol vertrou
bly.

26:9 *Of "bloedskuldige". 26:11 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.
#Lett. "Verlos". 26:12 *Lett. "In ver-
gadering".

HFST. 26

a Ps 50:23
Ps 95:2

b 1Sa 3:3
1Kr 16:1
Ps 27:4

c Ps 63:2

d 1Sa 25:29

e 1Sa 2:9
Spr 10:9

f Ps 111:1

HFST. 27

g Ps 36:9
Ps 43:3
Ps 119:105

h Ps 23:4
Ro 8:31
Heb 13:6

i Ps 62:6
Jes 12:2

j Ps 22:16

k 2Kr 20:15
2Kr 32:7
Ps 3:6

Tweede kol.

a Ps 23:6
Ps 65:4

b 1Sa 3:3
1Kr 16:1
Ps 26:8

c Ps 32:7
Ps 57:1
Sef 2:3

d Ps 61:4

e Ps 40:2

f Ps 130:2

g Ps 4:1
Ps 5:2

h Ps 63:1
Ps 105:4
Sef 2:3

i Ps 69:17
Ps 143:7

j Ps 46:1

k Ps 69:8

l Jes 49:15

m Ps 25:4
Ps 86:11
Jes 30:20
Jes 54:13

- 4 Een ding het ek van Jehovah
gevra
– dit is wat ek graag wil hê –
dat ek al die dae van
my lewe in die huis van
Jehovah mag woon,^a
om die lieflikheid van
Jehovah te sien
en met waardering na sy
tempel te kyk.^{#b}
5 Want hy sal my in die dag
van rampspoed in sy
skuilplek wegsteek.^c
Hy sal my wegsteek in die
geheime plek van sy tent.^d
Hoog op 'n rots sal hy my
plaas.^e
6 Nou is my kop hoog bo my
vyande wat my omsingel.
Ek sal in sy tent offerandes
bring en van vreugde
uitroep.
Ek sal lofliedere sing* vir
Jehovah.
7 Hoor my, o Jehovah,
wanneer ek roep.^f
Wees genadig teenoor my
en antwoord my.^g
8 My hart het namens u
gepraat en gesê:
"Soek my goedkeuring."
U goedkeuring, o Jehovah,
sal ek soek.^h
9 Moenie u gesig van my af
wegdraai nie.ⁱ
Moenie u kneg in u woede
wegwys nie.
U is my helper.^j
Moenie my verstoot of
verlaat nie, my God van
redding.
10 Selfs al verlaat my eie pa en
ma my,^k
sal Jehovah my inneem.^l
11 Onderrig my in u weg,
o Jehovah.^m

27:4 *Of "en nadenkend na sy hei-
ligdom te kyk". 27:6 *Of "musiek
maak".

Lei my op die pad van regverdigheid as gevolg van my vyande.

- 12** Moenie my oorlewer aan my vyande nie,^a want valse getuies het teen my opgestaan,^b en hulle dreig my met geweld.
- 13** Waar sou ek wees as ek nie geloof gehad het dat ek Jehovah se goedheid in die land van die lewendes sal sien nie?^{*c}
- 14** Hoop op Jehovah.^d Wees moedig en sterk van hart.^e Ja, hoop op Jehovah.

Van Dawid.

- 28** Ek bly tot u roep, o Jehovah my Rots.^f Luister tog na my. As u my nie antwoord nie, sal ek word soos dié wat na die graf afgaan.^g
- 2** Hoor my smeking wanneer ek tot u om hulp roep en my hande oplik na die binneste vertrek van u heiligdom.^h
- 3** Moenie my wegsleep saam met die goddeloses, saam met dié wat skadelike dinge beoefen nie,ⁱ dié wat op 'n vreedsame manier met hulle medemens praat terwyl daar goddeloosheid in hulle hart is.^j
- 4** Betaal hulle terug vir hulle daade,^k volgens hulle goddelose gewoontes. Betaal hulle terug vir die werk van hulle hande, volgens wat hulle gedoen het.^l

27:13 *Of moontlik “Ek het beslis geloof dat ek Jehovah se goedheid in die land van die lewendes sal sien”.

HFST. 27

- a Ps 31:8
Ps 41:2
Ps 41:11
- b Mt 26:59-61
- c Job 33:28-30
- d Ps 25:3
Ps 62:5
- e Jes 40:31

HFST. 28

- f De 32:4
Jes 26:4
- g Job 33:28
- h Ps 5:7
- i Nu 16:25, 26
Ps 26:9
- j Ps 62:4
- k Ps 59:12
Jer 18:22

l Ps 62:12
2Te 1:6

Tweede kol.

- a Job 34:26, 27
- b Jes 5:12
- c Jes 12:2
- d Ge 15:1
2Sa 22:3
Ps 3:3
- e Ps 56:4
- f 1Sa 16:13
2Sa 22:3
Ps 20:6
- g De 9:29
- h Jes 40:11

HFST. 29

- i 1Kr 16:28, 29
- j 1Sa 7:10
Ps 18:13
- k Ps 104:3

l Job 26:11
Job 40:9

- 5** Want hulle skenk geen aandag aan die bedrywigheide van Jehovah^a of aan die werk van sy hande nie.^b Hy sal hulle afbreek en hulle nie opbou nie.
- 6** Mag Jehovah geloof word, want hy het my smeking om hulp gehoor.
- 7** Jehovah is my sterkte^c en my skild.^d My hart vertrou op hom.^e Ek het sy hulp ontvang, en my hart is baie bly. Daarom sal ek hom loof met my lied.
- 8** Jehovah is 'n sterkte vir sy volk. Hy is 'n vesting wat groot reddingsdade vir sy gesalfde verrig.^f
- 9** Red u volk, en seën u erfdeel.^g Wees vir hulle 'n herder en dra hulle vir ewig in u arms.^h

^h 'n Melodie van Dawid.

- 29** Gee Jehovah wat hy verdien, o seuns van die magtiges, gee Jehovah wat hy verdien weens sy heerlikheid en krag.ⁱ
- 2** Gee Jehovah die eer wat sy naam verdien. Buig voor Jehovah neer* in heilige klere.^g
- 3** Die stem van Jehovah word oor die waters gehoor. Die stem van die glorieryke God dreun soos donderslae.^j Jehovah is oor baie waters.^k
- 4** Die stem van Jehovah is kragtig.^l Die stem van Jehovah is glorieryk.

29:2 *Of “Aanbid Jehovah”. #Of moontlik “as gevolg van die prag van sy heiligheid”.

5 Die stem van Jehovah breek die sederbome.

Ja, Jehovah vernietig die sederbome van die Li'banon.^a

6 Hy laat die Li'banon-berge rondhuppel soos 'n kalf, en Sirjon^b soos 'n jong wilde bul.

7 Die stem van Jehovah laat vuurvlamme uitskiet.^c

8 Die stem van Jehovah laat die wildernis bewe.^d Jehovah laat die wildernis van Kades^e sidder.

9 Die stem van Jehovah laat die takbokke bewe en geboorte gee, en dit stroop die woude kaal.^f

En almal in sy tempel sê: "Heerlikheid aan God!"

10 Jehovah sit op sy troon bo die vloedwaters.^{*g}

Jehovah sit vir ewig as Koning op sy troon.^h

11 Jehovah sal vir sy volk krag gee.ⁱ

Jehovah sal sy volk met vrede seën.^j

^hn Melodie. ⁱn Lied vir die inwyding van die huis. Van Dawid.

30 Ek sal u verheerlik, o Jehovah, want u het my opgelig.^{*}

U het my vyande nie toegelaat om oor my bly te wees nie.^k

2 O Jehovah my God, ek het tot u om hulp geroep, en u het my gesond gemaak.^l

3 O Jehovah, u het my uit die Graf^{*} opgelig.^m

U het my aan die lewe gehou. U het gekeer dat ek na die graf afgaan.ⁿ

29:10 *Of "die hemelse oseaan". 30:1 *Of "opgetrek". 30:3 *Of "Sje-oel". Sien Woordelys.

HFST. 29

a Jes 2:12, 13

b De 3:8, 9

c Eks 19:18
Ps 77:18

d Jes 13:13
Heb 12:26

e Nu 13:26

f Jes 10:17, 18
Ese 20:47

g Job 38:25

h 1Ti 1:17

i Jes 40:29

j Ps 72:7

HFST. 30

k Ps 25:2
Ps 41:11

l 2Kn 20:5
Ps 6:2
Ps 103:3

m Ps 86:13

n Ps 16:10
Ps 28:1
Jes 38:17
Jon 2:6

Tweede kol.

a Ps 32:11

b Eks 3:15

c Jes 12:1

d Jes 54:8

e Ps 126:5

f 2Sa 5:12
Ps 89:17

g Ps 10:1
Ps 143:7

h Ps 34:6
Ps 77:1

i Ps 28:1

j Ps 6:5
Ps 115:17
Pr 9:10

k Ps 88:11
Jes 38:18

l Ps 143:1

m Ps 28:7

4 Sing lofliedere* vir Jehovah, o julle wat lojaal is aan hom,^a

loof sy heilige naam.^{#b}

5 Want sy woede is net vir 'n oomblik,^c

maar sy goedkeuring is lewenslank.^d

Dalk word daar in die aand gehuil, maar in die oggend is daar 'n uitroep van vreugde.^e

6 Toe ek nie sorg gehad het nie, het ek gesê:

"Ek sal altyd standvastig wees."^{**}

7 O Jehovah, toe ek u goedkeuring geniet het, het u my so sterk soos 'n berg gemaak.^f

Maar toe u u gesig weggedraai het, het ek baie bang geword.^g

8 Ek het tot u bly roep, o Jehovah,^h

en ek het Jehovah bly smeek om my sy goedkeuring te gee.

9 Watter voordeel is daar as ek doodgaan,^{*} as ek na die graf afgaan?ⁱ

Sal die stof u loof? Sal dit van u getrouheid praat?^k

10 Hoor, o Jehovah, en wees genadig teenoor my.^l

O Jehovah, word my helper.^m

11 U het my getreur in gedans verander.

U het my saklinne uitgetrek en my met blydschap beklee,

12 sodat ek* kan sing om u te loof en nie sal stilbly nie.

O Jehovah my God, ek sal u vir ewig loof.

30:4 *Of "Maak musiek". #Lett. "heilige gedagtenis". 30:6 *Of "nooit wankel nie". 30:9 *Lett. "in my bloed". 30:12 *Of "my heerlikheid".

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

- 31** By u, o Jehovah, het ek beskerming kom soek.^a
Mag ek nooit verneder word nie.^b
Red my weens u regverdigheid.^c
- 2** Skenk aandag aan* my.
Kom gou en red my.^d
Word vir my 'n bergvesting,
'n versterkte plek om my te red.^e
- 3** Want u is my groot rots en my vesting,^f
en u sal my lei en my rig ter wille van u naam.^g
- 4** U sal my bevry uit die net wat hulle in die geheim vir my gestel het,^h
want u is my vesting.ⁱ
- 5** In u hand gee ek my gees oor.^j
U het my verlos, o Jehovah,
die God van waarheid.*^k
- 6** Ek haat dié wat waardelose, nuttelose afgode vereer,
maar wat my betref, ek vertrou op Jehovah.
- 7** Ek sal vreugdevol wees oor u lojale liefde,
want u het gesien hoe ek swaarkry.^l
U is bewus van my groot angs.
- 8** U het my nie aan die vyand oorgelewer nie,
maar u laat my op 'n veilige plek* staan.
- 9** Wees genadig teenoor my, o Jehovah, want ek is in groot moeilikheid.
My angs het my oë sowel as my hele liggaam* swak laat word.^m
- 10** My lewe word deur droefheid verslind,ⁿ

31:2 *Of "Buig neer en luister na".
31:5 *Of "die getroue God". 31:8 *Of "ruim plek". 31:9 *Of "my siel en my maag".

HFST. 31

- a Ps 18:2
b Ps 22:4, 5
Ro 10:11
c Ps 143:1
d Ps 40:17
Ps 70:1
Ps 71:2
e 2Sa 22:3
Ps 18:2
f 2Sa 22:2
g Ps 23:3
Ps 25:11
Jer 14:7
h Ps 91:3
Mt 6:13
i Spr 18:10
j Lu 23:46
Han 7:59
k De 32:4
l Ps 9:13
m Ps 6:7
Ps 22:14
n Spr 15:13

Tweede kol.

- a Ps 71:9
b Ps 32:3
Ps 102:3, 5
c Ps 22:6
Ps 42:10
Ps 102:8
d Ps 38:11
e Jer 20:10
f Ps 57:4
g Ps 56:4
h Ps 43:5
i Ps 142:6
j Nu 6:25
k Ps 25:2
Jes 50:7
l Ne 6:16
Jes 41:11
Jer 20:11
m 1Sa 2:9
n Ps 12:3
Ps 63:11
o Ps 73:1
Jes 63:7

- en my jare deur 'n gekreun.^a
My krag word al hoe minder
as gevolg van my oortreding,
en al my bene word swak.^b
- 11** Al my vyande bespot my,^c
veral my bure.
Mense wat my ken, is bang vir my.
Wanneer hulle my in die openbaar sien, vlug hulle weg van my af.^d
- 12** Ek is nie meer in hulle hart*
nie, en hulle het van my vergeet, asof ek dood is.
Ek is soos 'n stukkende houer.
- 13** Ek het talle slegte gerugte gehoor,
en vrees omring my.^e
Wanneer hulle soos een man teen my saamspan,
beraam hulle planne om my dood te maak.^f
- 14** Maar ek vertrou op u, o Jehovah.^g
Ek sê: "U is my God."^h
- 15** My dae* is in u hand.
Red my uit die hand van my vyande en van dié wat my vervolgt.ⁱ
- 16** Betoon goedheid aan u kneg.^j
Red my deur u lojale liefde.
- 17** O Jehovah, moenie toelaat dat ek verneder word wanneer ek tot u roep nie.^k
Laat die goddeloses verneeder word.^l
Laat hulle in die Graf* stilgemaak word.^m
- 18** Laat valse lippe stom word,ⁿ
lippe wat hoogmoedig teen die regverdiges praat en hulle bespot.
- 19** Hoe oorvloedig is u goedheid tog!^o

31:12 *Of "gedagtes". 31:15 *Lett. "tye". 31:17 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

U het dit as 'n skat bewaar vir dié wat u vrees,^a en u het dit voor alle mense getoon ter wille van dié wat beskerming by u kom soek.^b

- 20 U sal hulle beskerm in die geheime plek van u teenwoordigheid^c teen die slinkse planne van mense.

U sal hulle in u skuilplek wegsteek om hulle te beskerm wanneer hulle met woorde aangeval word.^d

- 21 Mag Jehovah geloof word, want hy het op 'n wonderlike wyse sy lojale liefde aan my betoon^e in 'n stad wat omsingel is.^f

- 22 Ek het paniekerig geraak en gesê:

“Ek sal voor u sterf.”^g

Maar u het my smeking om hulp gehoor toe ek tot u geroep het.^h

- 23 Wees lief vir Jehovah, almal van julle wat lojaal is aan hom!ⁱ

Jehovah beskerm die getroues,^j maar enigiemand wat hoogmoedig is, straf hy swaar.^k

- 24 Wees moedig, en mag julle hart sterk wees,^l julle almal wat op Jehovah wag.^m

Van Dawid. Maskil.*

- 32 Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe word, wie se sonde bedek* word.ⁿ

- 2 Gelukkig is die mens wat nie deur Jehovah verantwoordelik gehou word vir sy skuld nie^o en wat nie bedrieglik is nie.

31:20 *Lett. “teen die gestryery van tonge”. 32:Ops *Sien Woordelys. 32:1 *Of “vergewe”.

HFST. 31

a Jes 64:4

1Kor 2:9

b Ps 126:2

Jes 26:12

c Ps 27:5

Ps 32:7

d Ps 64:2, 3

e Ps 17:7

f 1Sa 23:7

g Jon 2:4

h 2Kr 33:13

Ps 6:9

Spr 15:29

Heb 5:7

i De 10:12

j 1Sa 2:9

Ps 145:20

k 2Sa 22:28

Jes 2:11

Jak 4:6

l Jes 35:4

m Ps 62:1

Klg 3:20, 21

Mi 7:7

HFST. 32

n Jes 1:18

Han 3:19

o Ro 4:7, 8

Tweede kol.

a Spr 28:13

b Ps 38:2

c Ps 38:18

Ps 51:4

1Jo 1:9

d Le 5:5

Ps 41:4

e 2Sa 12:13

Ps 86:5

Ps 103:3

Jes 44:22

f Ps 65:2, 3

g Ps 69:13

Jes 55:6

h Ps 9:9

i Eks 15:1

2Sa 22:1

j Ps 86:11

k Spr 3:6

l Spr 26:3

Jer 8:6

m Ps 34:8

Spr 13:21

Spr 16:20

- 3 Toe ek stilgebly het, het al my bene weggeteer as gevolg van my gekreun die hele dag lank.^a

- 4 Want dag en nag was u hand swaar op my.^b

My krag het opgedroog^c soos water in die droë somerhitte. (Sela)

- 5 Uiteindelik het ek my sonde aan u bely.

Ek het my oortreding nie weggesteek nie.^c

Ek het gesê: “Ek sal my oortreding aan Jehovah bely.”^d

En u het die oortreding van my sondes vergewe.^e (Sela)

- 6 Daarom sal elke lojale persoon tot u bid^f terwyl u nog gevind kan word.^g

Dan sal selfs die vloedwaters hom nie bereik nie.

- 7 U is 'n skuilplek vir my. U sal my beskerm teen groot moeilikheid.^h

U sal my omring met vreugdevolle uitroepe van redding.ⁱ (Sela)

- 8 “Ek sal jou insig gee en jou die weg wys wat jy moet volg.^j

Ek sal jou raad gee met my oog op jou.^k

- 9 Moenie soos 'n perd of 'n muil sonder verstand word nie,^l

wie se vurigheid met 'n toom of 'n halter beheer moet word

voordat hy naby jou sal kom nie.”

- 10 Die goddelose het baie pyne, maar die een wat op Jehovah vertrou, word deur Sy lojale liefde omring.^m

- 11 Vind vreugde in Jehovah en wees bly, o regverdiges.

32:4 *Of “baie ontevrede met my”.
[#]Of “My lewensvog het verander”.

Roep uit van vreugde,
julle almal wat opreg van
hart is.

33 Roep uit van vreugde, o
regverdiges, as gevolg
van Jehovah.^a

Dit is gepas dat dié wat reg
lewe, hom loof.

2 Loof Jehovah met die harp.
Sing lofliedere* vir hom met
'n tiensnarige instrument.

3 Sing vir hom 'n nuwe lied.^b
Speel met vaardigheid op
die snaarinstrumente en
roep uit van vreugde.

4 Want die woord van Jeho-
vah is reg,^c
en alles wat hy doen, is
betroubaar.

5 Hy is lief vir regverdigheid
en geregtigheid.^d
Die aarde is gevul met
Jehovah se lojale liefde.^e

6 Deur die woord van Jehovah
is die hemel gemaak,^f
en alles daarin* deur die
gees^g van sy mond.

7 Hy maak die seewaters soos
'n dam bymekaar.^g
Hy sit die onstuimige waters
in stoorkamers.

8 Laat die hele aarde Jehovah
vrees.^h

Laat die inwoners van die
vrugbare land ontsag vir
hom hê.

9 Want hy het gepraat, en dit
was so.ⁱ

Hy het die bevel gegee, en
dit het stewig gestaan.^j

10 Jehovah het die planne* van
die nasies op niks laat
uitloof.^k

Hy het die planne^l van die
volke laat misluk.^l

33:2 *Of "Maak musiek". **33:6** *Lett.
"al hulle leërmagte". *Of "asem".
33:10, 11 *Of "raad". **33:10** *Of "ge-
dagtes".

HFST. 33

a Flp 4:4

b Ps 40:3
Ps 98:1
Ps 149:1
Jes 42:10
Op 5:9

c Ps 12:6

d Job 37:23
Ps 11:7
Ps 45:7

e Ps 145:16
Han 14:17

f Heb 11:3

g Ge 1:9
Job 38:8-11
Spr 8:29
Jer 5:22

h Op 14:7

i Ps 148:4, 5

j Ps 119:90

k Jes 8:10
Jes 19:3

l Ps 21:8, 11

Tweede kol.

a Spr 19:21
Jes 46:10

b De 33:29

c Ps 65:4
Ps 135:4
1Pe 2:9

d Ps 11:4
Ps 14:2
Spr 15:3
Heb 4:13

e 1Kr 28:9
Job 34:21
Spr 24:12

f Jos 11:6

g 2Kr 32:21
Ps 44:4, 5

h 2Kn 7:6, 7
Ps 20:7
Spr 21:31
Jes 31:1

i Job 36:7
Ps 34:15

j Jes 33:15, 16

k De 33:29

l Ps 28:7
Spr 18:10

m Ps 32:10

n Mi 7:7

11 Maar die besluite* van
Jehovah sal vir ewig bly
staan.^a

Die gedagtes van sy hart is
van geslag tot geslag.

12 Gelukkig is die nasie wie se
God Jehovah is,^b
die volk wat hy as sy eie
besitting gekies het.^c

13 Jehovah kyk af vanuit
die hemel.
Hy sien al die mense.^d

14 Vanuit sy woonplek
kyk hy aandagtig na die
inwoners van die aarde.

15 Hy is die Een wat almal se
harte vorm.
Hy ondersoek al hulle
werke.^e

16 Geen koning word deur 'n
groot leërmag gered nie.^f
'n Magtige man word nie
deur sy groot krag gered
nie.^g

17 Die perd is 'n valse hoop
op redding,^h
en sy groot krag verseker
nie dat 'n mens sal
wegkom nie.

18 Kyk! Die oog van Jehovah
waak oor dié wat hom
vrees,ⁱ
dié wat op sy lojale liefde
wag,

19 om hulle van die dood
te red,
en om hulle tydens honger-
snoed aan die lewe te hou.^j

20 Ons wag op Jehovah.
Hy is ons helper en ons
skild.^k

21 Ons harte is bly danksy
hom,
want ons vertrou op sy
heilige naam.^l

22 Mag u lojale liefde op ons
rus, o Jehovah,^m
terwyl ons vir u bly wag.ⁿ

33:17 *Of "oorwinning".

Van Dawid, toe hy voor Abime'leg gemaak het asof hy mal is^a en toe weggegaan het nadat Abime'leg hom weggejaag het.

Ⲛ [Alef]

34 Ek sal Jehovah altyd loof.
Sy lof sal heelyd op my lippe wees.

Ⲛ [Bet]

2 Ek sal spog oor Jehovah.^b
Die nederiges sal hoor en sal bly wees.

ⲗ [Gimel]

3 Verheerlik Jehovah saam met my.^c
Laat ons sy naam saam verheerlik.

ⲧ [Dalet]

4 Ek het Jehovah vir leiding gevra, en hy het my geantwoord.^d
Hy het my van al my vrese gered.^e

ⲧ [He]

5 Die gesigte van dié wat op hom vertrou het, het gestraal van vreugde.
Hulle kan nie teleurgestel word nie.

ⲧ [Zajin]

6 Hierdie hulpelose man het geroep, en Jehovah het gehoor.
Hy het hom gered uit al sy moeilikhede.^f

ⲧ [Get]

7 Die engel van Jehovah slaan kamp op rondom dié wat Hom vrees,^g
en hy red hulle.^h

Ⲛ [Tet]

8 Kom ondervind* en sien self dat Jehovah goed is.ⁱ
Gelukkig is die man wat by hom beskerming soek.

ⲧ [Jod]

9 Vrees Jehovah, al sy heiliges,
want dié wat hom vrees,
kom niks kort nie.^j

HFST. 34

a 1Sa 21:12, 13

b Jer 9:24
1Kor 1:31

c Ps 35:27

d Heb 5:7

e Ps 18:48

f 2Sa 22:1

g 2Kn 6:17
Ps 91:11
Mt 18:10
Heb 1:7, 14

h 2Kn 19:35
Da 6:22
Han 5:18, 19
Han 12:11

i 1Pe 2:3

j Ps 23:1
Flp 4:19

Tweede kol.

a Ps 23:6
Ps 84:11

b Job 28:28
Spr 1:7
Spr 8:13

c De 6:1, 2
De 30:19, 20
1Pe 3:10-12

d Jak 1:26
Jak 3:8

e Spr 12:19
Spr 15:4
1Pe 2:1

f Ps 37:27
Ps 97:10
Am 5:15
Ro 12:9

g Mt 5:9
Heb 12:14

h Job 36:7
Ps 33:18

i Ps 18:6
Jes 59:1

j Ps 37:10
Spr 10:7

k Ps 145:18, 19

l 2Kr 32:22
Han 12:11

m Ps 147:3
Jes 61:1

n Ps 51:17
Jes 57:15
Jes 66:2

Ⲛ [Kaf]

10 Selfs sterk jong leeus* het begin honger ly,
maar dié wat Jehovah dien,[#]
sal niks goeds kortkom nie.^a

ⲧ [Lamed]

11 Kom, my seuns, luister na my.
Ek sal julle die vrees vir Jehovah leer.^b

Ⲛ [Mem]

12 Wie van julle is lief vir die lewe
en wil graag baie dae hê om goeie dinge te geniet?^c

Ⲛ [Noen]

13 Hou dan jou tong weg van wat sleg is,^d
en jou lippe van bedrog.^e

Ⲛ [Samek]

14 Draai weg van wat sleg is en doen wat goed is.^f
Soek vrede en streef dit na.^g

Ⲛ [Ajin]

15 Die oë van Jehovah is op die regverdiges,^h
en sy ore luister na hulle geroep om hulp.ⁱ

Ⲛ [Pe]

16 Maar Jehovah* is teen dié wat slegte dinge doen,
om alle herinnering van hulle van die aarde af uit te wis.^j

Ⲛ [Tsade]

17 Hulle het geroep, en Jehovah het gehoor.^k
Hy het hulle uit al hulle moeilikhede gered.^l

Ⲛ [Kof]

18 Jehovah is naby dié wie se hart gebreek is.^m
Hy red dié wat mismoe-dig is.ⁿ

34:10 *Of "Selfs jong maanhaarleeus".
#Lett. "soek". **34:16** *Of "die aangesig van Jehovah". **34:18** *Of "dié wie se gees verpletter is".

⌌ [Resj]

19 Die regverdige het baie probleme,^{*a} maar Jehovah red hom van dit alles.^b

⌌ [Sjin]

20 Hy bewaar al sy bene, en nie een van hulle is gebreek nie.^c

⌌ [Taw]

21 Ramspoed sal die goddelose doodmaak. Dié wat die regverdige haat, sal skuldig bevind word.

22 Jehovah red die lewe van sy knegte. Nie een van dié wat beskerming by hom soek, sal skuldig bevind word nie.^d

Van Dawid.

35 O Jehovah, verdedig my saak teen my vyande.^e Veg teen dié wat teen my veg.^f

2 Neem u klein skild* en u groot skild,^g en staan op om my te verdedig.^h

3 Lig u spies en oorlogsbyl* op teen dié wat my agternasit.ⁱ Sê vir my: “Ek is jou redding.”^j

4 Mag dié wat my wil doodmaak, skaam kry en verneder word.^k Mag dié wat planne beraam om my te vernietig, in skande terugtrek.

5 Mag hulle soos kaf in die wind word. Mag Jehovah se engel hulle wegdryf.^l

6 Mag hulle pad donker en glibberig wees terwyl Jehovah se engel hulle agternasit.

HFST. 34

a Spr 24:16
2Ti 3:12

b Da 6:21, 22
1Kor 10:13

c Joh 19:36

d Ps 84:11

HFST. 35

e 1Sa 24:15

f Ps 3:7

g Eks 15:3

h Jes 42:13

i 1Sa 23:26

j Jes 12:2

k Jer 17:18

l Eks 14:19, 20
Jes 37:36

Tweede kol.

a Ps 57:6
Ps 141:10

b Ps 18:17

c Ps 40:17
Spr 22:22, 23

d Ps 27:12
Mt 26:59

e 1Sa 19:4, 5
1Sa 20:33
Jer 18:20

7 Want sonder rede het hulle 'n net gestel om my te vang.

Sonder rede het hulle 'n put vir my gegrawe.

8 Mag ramspoed onverwags oor hom kom.

Mag hy gevang word in die net wat hy gespan het.

Mag hy daarin val en vernietig word.^a

9 Maar ek sal vreugdevol wees as gevolg van Jehovah.

Ek sal bly wees oor sy reddingsdade.

10 My hele wese sal sê:

“O Jehovah, wie is soos u? U red die hulpeloses van dié wat sterker is as hulle,^b die hulpeloses en die armes van dié wat hulle beroof.”^c

11 Getuies met slegte bedoelings kom na vore,^d en hulle vra my dinge waarvan ek niks weet nie.

12 Hulle betaal my terug met slegtheid vir die goeie wat ek doen,^e en dit laat my baie hartseer voel.

13 Maar toe hulle siek was, het ek saklinne aangetrek.

Ek het my verneder deur te vas,

en wanneer my gebed nie beantwoord is nie,^{*}

14 het ek rondgeloopt en getreur soos vir 'n vriend of 'n broer.

Ek het hartseer neergebuig, soos iemand wat oor sy moeder treur.

15 Maar toe ek gestruikel het, was hulle bly en het hulle bymekaargekom.

Hulle het bymekaargekom om my onverwags neer te slaan.

35:13 *Of “na my boesem teruggekeer het”.

34:19 *Of “rampe”. 35:2 *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. 35:3 *Of “dubbele byl”.

- Hulle het my verskeur en nie stilgebly nie.
- 16** Die goddeloses beledig en bespot my,* hulle kners hulle tande vir my.^a
- 17** O Jehovah, hoe lank sal u net bly toekyk?^b
Red my van hulle aanvalle,^c my kosbare lewe* van die jong leeus.^{#d}
- 18** Dan sal ek u in die groot gemeente dank.^e
Ek sal u onder 'n skare mense loof.
- 19** Moenie toelaat dat dié wat sonder rede my vyande is, lekker kry as gevolg van my rampspoed nie.
Moenie toelaat dat dié wat my sonder rede haat,^f hulle oë met slegte bedoeulings knip nie.^g
- 20** Want hulle praat nie van vrede nie,
maar is bedrieglik en beraam planne teen die vreedsame mense van die land.^h
- 21** Hulle maak hulle mond wyd oop om my te beskuldig, en hulle sê: “Aha! Aha! Ons het dit met ons eie oë gesien.”
- 22** U het dit gesien, o Jehovah. Moenie stilbly nie.ⁱ
O Jehovah, moenie ver van my af bly nie.^j
- 23** Word wakker en staan op om my te verdedig, my God, Jehovah, verdedig my in my regsak.
- 24** Oordeel my volgens u regverdigheid,^k o Jehovah my God.

35:16 *Of moontlik “Die goddeloses spot vir 'n koek”. **35:17** *Lett. “my enigste een”, wat verwys na sy siel, of lewe. “Of “jong maanhaarleus”.

HFST. 35

a Ps 37:12

b Hab 1:13

c Ps 142:6

d Ps 22:20
Ps 57:4

e Ps 22:22

f Ps 69:4
Joh 15:24, 25

g Spr 6:12, 13

h Ps 31:13
Jer 11:19
Mt 26:4

i Ps 28:1

j Ps 10:1
Ps 71:12

k Ps 26:1
Ps 96:13

Tweede kol.

a Ps 41:1, 2

b Ps 84:11
Ps 149:4

c Ps 51:14

d Ps 71:24

HFST. 36

e Ro 3:18

f De 29:19, 20

g Ps 103:11

- Moenie toelaat dat hulle lekker kry as gevolg van my rampspoed nie.
- 25** Mag hulle nooit sê: “Aha! Ons het gekry wat ons wou hê” nie.
Mag hulle nooit sê: “Ons het hom ingesluk” nie.^a
- 26** Laat skande en oneer oor hulle almal kom,
dié wat lekker kry as gevolg van my rampspoed.
Laat dié wat op my neersien, skaam kry en verneeder word.
- 27** Maar laat dié wat bly is oor my regverdigheid, van vreugde uitroep.
Mag hulle heeltyd sê:
“Mag Jehovah verheerlik word, die Een wat bly is dat sy kneg vrede geniet.”^b
- 28** Dan sal my tong u regverdigheid verkondig*^c en u die hele dag loof.^d

Vir die musiekleier.

Van Jehovah se kneg Dawid.

36 Oortreding praat met die goddelose diep in sy hart.

Daar is geen vrees vir God voor sy oë nie.^e

- 2** Want hy vlei homself te veel in sy eie oë
om bewus te word van sy oortreding en dit te haat.^f
- 3** Die woorde van sy mond is skadelik en bedrieglik.
Hy het geen insig om te doen wat goed is nie.
- 4** Selfs op sy bed beraam hy skadelike planne.
Hy volg 'n weg wat nie goed is nie.
Hy verwerp nie wat sleg is nie.
- 5** O Jehovah, u lojale liefde strek tot by die hemel,^g

35:28 *Of “oor u regverdigheid nading”.

u getrouheid tot aan die wolke.

6 U regverdigheid is soos hoë berge.^a

U oordele is soos groot, diep waters.^b

U bewaar^c mens en dier, o Jehovah.^c

7 Hoe kosbaar is u lojale liefde tog, o God!^d

In die skaduwee van u vlerke kom soek mense beskerming.^e

8 Hulle drink van die ryk oorvloed* van u huis totdat hulle versadig is,^f

en u laat hulle drink van die stroom van u goeie dinge.^g

9 By u is die bron van lewe.^h Deur u lig kan ons lig sien.ⁱ

10 Hou aan om u lojale liefde te betoon aan dié wat u ken,^j en u regverdigheid aan die opregtes van hart.^k

11 Moenie toelaat dat die voet van die hoogmoediges op my trap

of dat die hand van die goddeloses my wegjaag nie.

12 Daar het die oortreders geval.

Hulle is omgestamp en kan nie opstaan nie.^l

Van Dawid.

℣ [Alef]

37 Moenie ontsteld wees as gevolg van goddelose mense

of jaloers wees op dié wat slegte dinge doen nie.^m

2 Hulle sal vinnig verlep, soos gras,ⁿ en uitdroog soos groen, nuwe gras.

⌋ [Bet]

3 Vertrou op Jehovah en doen wat goed is.^o

36:6 *Lett. "soos berge van God".
*Of "red". 36:8 *Lett. "die vettigheid".

HFST. 36

a Ps 71:19

b Ro 11:33

c Ps 145:9

1Ti 4:10

d Mi 7:18

e Rut 2:12

Ps 17:8

Ps 91:4

f Ps 65:4

g Ps 16:11

h Job 33:4

Jer 2:13

Han 17:28

Op 4:11

i Ps 27:1

Ps 43:3

Jak 1:17

1Pe 2:9

j Ps 103:17

k Ps 7:10

Ps 97:11

l Ps 1:5

HFST. 37

m Ps 73:3

Spr 23:17

n Ps 73:12, 19

o Jes 11:17

Heb 13:16

Tweede kol.

a Spr 28:20

b Ps 55:22

Spr 16:3

c Mt 6:33

Flp 4:6

1Pe 5:6, 7

d Ps 62:1

Klg 3:26

e Job 21:7

Ps 73:3

Jer 12:1

f Spr 14:29

Ef 4:26

g Ps 55:23

h Ps 25:12, 13

Ps 37:29

Mt 5:5

2Pe 2:9

i Job 24:24

j 1Sa 25:39

Ps 52:4, 5

k Jes 45:18

Mt 5:5

Op 21:3

l Ps 72:7

Ps 119:165

Jes 48:18

Woon op die aarde* en tree met getrouheid op.^a

4 Vind jou grootste vreugde* in Jehovah,

en hy sal jou die begeertes van jou hart gee.

⌋ [Gime!]

5 Laat jou weg aan Jehovah oor.*^b

Vertrou op hom, en hy sal vir jou optree.^c

6 Hy sal jou regverdigheid laat skyn soos die dagbreek,

en jou geregtigheid soos die middagson.

⌋ [Dalet]

7 Bly stil voor Jehovah^d

en wag hoopvol* op hom. Moenie ontsteld wees oor die man

wat sy slinkse planne suksesvol uitvoer nie.^e

⌋ [He]

8 Hou op om kwaad te wees en laat vaar die woede.^f

Moenie ontsteld word en begin doen wat sleg is nie.*

9 Want goddelose mense sal vernietig word,^g

maar dié wat op Jehovah hoop, sal die aarde besit.^h

⌋ [Waw]

10 Nog net 'n klein rukkie en die goddeloses sal nie meer bestaan nie.ⁱ

Jy sal kyk na die plek waar hulle was,

en hulle sal nie daar wees nie.^j

11 Maar die nederiges sal die aarde besit,^k

en hulle sal groot vreugde vind in die oorvloed van vrede.^l

37:3 *Of "in die land". 37:4 *Of "Verlustig jou". 37:5 *Lett. "Rol jou weg op Jehovah". 37:7 *Of "geduldig". 37:8 *Of moontlik "Moenie ontsteld wees nie, want dit sal net lei tot iets skadeliks".

† [Zajin]

- 12 Die goddelose beraam
slinkse planne teen die
regverdige.^a
Hy kners sy tande vir hom.
13 Maar Jehovah sal vir hom
lag,
want Hy weet dat sy dag
sal kom.^b

□ [Get]

- 14 Die goddeloses trek hulle
swaard uit en span* hulle
boog
om die onderdrukte en
armes te laat val,
om dié wat reg lewe, dood
te maak.
15 Maar hulle swaard sal hulle
eie hart deurboor.^c
Hulle boog sal gebreek
word.

⚔ [Tet]

- 16 Die bietjie van die regver-
dige is beter
as die oorfloed van baie
goddeloses.^d
17 Want die arms van die god-
deloses sal gebreek word,
maar Jehovah sal die reg-
verdiges ondersteun.

† [Jod]

- 18 Jehovah is bewus van wat
die getroues deurmaak,*
en hulle erfdeel sal vir ewig
bestaan.^e
19 Hulle sal nie verneder word
in die tyd van rampspoed
nie.
In die tyd van hongersnood
sal hulle baie hê.

⚔ [Kaf]

- 20 Maar die goddeloses sal aan
hulle einde kom.^f
Die vyande van Jehovah
sal soos pragtige weivelde
verdwyn.
Hulle sal soos rook
verdwyn.

37:14 *Of "sit snare aan". 37:18
*Lett. "die dae van die opregtes".

HFST. 37

a 1Sa 18:21, 25

b 1Sa 26:9, 10

c 2Sa 17:23
Est 7:10
Ps 7:15d Spr 16:8
Spr 30:8, 9
1Ti 6:6

e Ps 16:11

f Spr 10:7

Tweede kol.

a De 15:11
Job 31:16, 22
Ps 112:9
Spr 19:17

b Ps 37:9

c Spr 16:9

d Spr 11:20

e Ps 34:19
Spr 24:16

f Ps 91:11, 12

g Ps 94:14
Mt 6:33
Heb 13:5h De 24:19
Ps 145:15
Spr 10:3i De 15:7, 8
Ps 112:5j Ps 34:14
Jes 1:17

k 2Sa 22:26

l Ps 97:10
Spr 2:7, 8

m Spr 2:22

↳ [Lamed]

- 21 Die goddelose leen en betaal
nie terug nie,
maar die regverdige is vry-
gewig* en hou daarvan om
te gee.^a
22 Dié wat deur Hom geseën
word, sal die aarde besit,
maar dié wat deur Hom ver-
vloek word, sal vernietig
word.^b

⚔ [Mem]

- 23 Jehovah rig* die voetstappe
van 'n man^c
wanneer Hy tevrede is met
die weg wat hy volg.^d
24 Al val hy, sal hy nie neerge-
gooi word nie,^e
want Jehovah hou sy hand
vas.^{*f}

† [Noen]

- 25 Ek was eens jonk en nou is
ek oud,
maar ek het nog nooit ge-
sien dat 'n regverdige
verlaat word^g
of dat sy kinders na brood*
soek nie.^h
26 Hy leen altyd vryelik uit,ⁱ
en sy kinders sal geseën
word.

⊖ [Samek]

- 27 Draai weg van wat sleg is en
doen wat goed is,^j
en jy sal vir ewig bestaan.
28 Want Jehovah is lief vir
geregtigheid,
en hy sal nie sy lojales
verlaat nie.^k

⚔ [Ajin]

- Hulle sal altyd bewaar
word,^l
maar die nakomelinge van
die goddeloses sal vernie-
tig word.^m

37:21 *Of "goedhartig". 37:23 *Of
"Jehovah maak . . . stewig". 37:24
*Of "ondersteun hom met Sy hand".
37:25 *Of "voedsel".

- 29 Die regverdige sal die aarde besit,^a en hulle sal vir ewig daarop lewe.^b
- ☞ [Pe]
- 30 Die mond van die regverdige dra wysheid oor,^{*} en sy tong praat van geregtigheid.^c
- 31 Die wet van sy God is in sy hart.^d Sy voetstaple sal altyd stewig gevestig wees.^e
- ☛ [Tshade]
- 32 Die goddelose hou die regverdige dop, op soek na 'n geleentheid om hom dood te maak.
- 33 Maar Jehovah sal hom nie in die hand van daardie een laat beland^f of hom skuldig bevind wanneer hy geoordeel word nie.^g
- ☞ [Kof]
- 34 Hoop op Jehovah en volg sy weg, en hy sal jou die voorreg gee om die aarde in besit te neem. Wanneer die goddeloses vernietig word,^h sal jy dit sien.ⁱ
- ☞ [Resj]
- 35 Ek het gesien hoe die wrede, goddelose man uitsprei soos 'n groot, groen boom wat in die regte grond groei.^j
- 36 Maar hy het skielik verdwyn, en hy was weg.^k Ek het hom bly soek, en hy kon nie gevind word nie.^l
- ☞ [Sjin]
- 37 Let op die een wat 'n rein lewe lei,^{*}

37:30 *Of "uiter wysheid met 'n gedempte stem". 37:37 *Of "die een wat sy integriteit behou". Sien Woordelyste.

HFST. 37

a De 30:20
Ps 37:9
Spr 2:21
Mt 5:5

b Mt 25:46
Op 21:3, 4

c Mt 12:35
Ef 4:29
Kol 4:6

d De 6:6
Ps 40:8

e Ps 121:3

f 2Pe 2:9

g Ps 109:31

h Ps 37:22

i Ps 52:5, 6

j Est 5:11
Job 21:7

k Eks 15:9, 10

l Ps 37:10

Tweede kol.

a Job 1:1

b Job 42:12, 16

c Ps 1:4
Spr 10:7
2Pe 2:9

d Jes 12:2

e Ps 9:9
Jes 33:2

f Jes 46:4
1Kor 10:13

g Ps 22:4
Da 3:17
Da 6:23

HFST. 38

h Jer 10:24

i Ps 32:4

j Ps 6:2
Ps 41:4
Ps 51:8

k Esr 9:6
Ps 40:12

l Ps 38:3

en kyk na die regverdige,^a want die toekoms van so 'n man sal vreedsaam wees.^b

- 38 Maar al die oortreders sal vernietig word. Goddelose mense het geen toekoms nie.^c

☞ [Taw]

- 39 Die redding van die regverdige kom van Jehovah.^d Hy is hulle vesting in moeilike tye.^e

- 40 Jehovah sal hulle help en hulle red.^f Hy sal hulle van die goddeloses red en hulle verlos omdat hulle beskerming by hom kom soek.^g

'n Melodie van Dawid, om as 'n herinnering te dien.

- 38** O Jehovah, moet my nie in u woede tereg wys of my in u woede dissiplineer nie.^h

- 2 Want u pyle het diep in my ingegaan, en u hand druk swaar op my.ⁱ

- 3 My hele liggaam is siek* as gevolg van u woede. Daar is geen vrede in enige van my bene as gevolg van my sonde nie.^j

- 4 Want my oortredings hang oor my kop,^k soos 'n swaar vrag is hulle te veel vir my om te dra.

- 5 My wonde stink en sweer as gevolg van my dwaasheid.

- 6 Ek is angstig en baie mismoedig.

Ek loop die hele dag lank hartseer rond.

- 7 Dit brand binne-in my.* My hele liggaam is siek.^l

- 8 Ek het alle gevoel verloor en heeltemal verpletter geword.

38:3 *Lett. "Daar is geen gesonde plek in my vlees nie". 38:7 *Lett. "My lendene is vol van 'n gebrand".

My angstige hart laat my hardop kreun.*

- 9 O Jehovah, al my begeertes is voor u, en wanneer ek sug, is dit nie vir u weggesteek nie.
- 10 My hart klop hewig, my krag is weg, en die lig van my oë het my verlaat.^a
- 11 My vriende en my geliefdes vermy my as gevolg van my plaag, en dié wat na aan my is, bly weg van my af.
- 12 Dié wat my wil doodmaak, stel strikke.
- Dié wat iets slegs aan my probeer doen, praat van vernietiging.^b
- Hulle mompel die hele dag lank bedrieglike dinge.
- 13 Maar soos iemand wat doof is, het ek nie geluister nie.^c Soos iemand wat stom is, het ek nie my mond oopgemaak nie.^d
- 14 Ek het geword soos 'n man wat nie kan hoor nie, wie se mond niks het om as verdediging te sê nie.
- 15 Want op u, o Jehovah, het ek gewag,^e en u het my geantwoord, o Jehovah my God.^f
- 16 Want ek het gesê: “Laat hulle nie lekker kry as gevolg van my rampspoed of op my neersien as my voet gly nie.”
- 17 Want ek was op die punt om inmekaar te sak, en ek was altyd in pyn.^g
- 18 Ek het my oortreding bely.^h My sonde het my gepla.ⁱ
- 19 Maar my vyande is vol lewe* en magtig,[#]

38:8 *Of “brul”. 38:19 *Lett. “lewend”. #Of moontlik “Maar dié wat sonder rede my vyande is, is baie”.

HFST. 38

a Ps 6:7

b 2Sa 16:7
Ps 62:4

c 2Sa 16:11

d Ps 39:2, 9

e 2Sa 16:12
Ps 123:2

f Ps 138:3

g Ps 77:2

h Ps 32:5

i Ps 51:3

Tweede kol.

a Ps 22:11
Ps 35:22

b Ps 27:1
Ps 62:2
Jes 12:2

HFST. 39

c 1Kr 16:41
1Kr 25:1

d Spr 18:21

e Ps 141:3

f Ps 38:13
Mt 27:12
1Pe 2:23

g Ps 90:12

h Ps 90:9
Jak 4:14

i Ps 90:4

dié wat my sonder rede haat, het baie geword.

- 20 Hulle het my terugbetaal met slegtheid vir die goeie wat ek doen.
- Hulle het my teëgestaan omdat ek probeer doen wat goed is.
- 21 Moet my nie verlaat nie, o Jehovah.
- O God, moenie ver van my af bly nie.^a
- 22 Kom tog gou en help my, o Jehovah, my redding.^b

Vir die musiekleier: Van Jedu'tun.*^c
'n Melodie van Dawid.

- 39 Ek het gesê: “Ek sal my voetstappe bewaar om nie met my tong te sondig nie.^d
- Ek sal my mond met 'n mulband toemaak^e solank daar enigiemand in my teenwoordigheid is wat goddeloos is.”
- 2 Ek was stom en het niks gesê nie;^f ek het selfs stilgebly oor wat goed is, maar my pyn was intens.*
- 3 My hart het vuurwarm binne-in my geword.
- Terwyl ek gepeins* het, het die vuur bly brand.
- Toe het my tong gepraat:
- 4 “O Jehovah, help my om te weet wat my einde sal wees, en die getal van my dae,^g sodat ek kan weet hoe kort my lewe is.*
- 5 Ja, u het my dae maar min* gemaak,^h en my lewensduur is soos niks voor u.ⁱ

39:Ops *Sien Woordelys. 39:2 *Of “is vererger”. 39:3 *Of “gesug”. 39:4 *Of “hoe verganklik ek is”. 39:5 *Lett. “handbreedtes”.

Ja, elke mens, al lyk hy veilig, is maar net soos asem.^a (*Sela*)

- 6** Elke mens loop rond soos 'n skaduwee.
Hy hardloop rond* vir niks. Hy maak rykdom bymekaar, maar hy weet nie wie dit sal geniet nie.^b
- 7** Waarvoor kan ek dan hoop, o Jehovah?
U is my enigste hoop.
- 8** Red my van al my oortredings.^c
Moenie toelaat dat die verstandelose persoon 'n bespottling van my maak nie.
- 9** Ek het stom gebly; ek kon nie my mond oopmaak nie,^d
want u het dit laat gebeur.^e
- 10** Neem u plaag van my af weg.
Ek is uitgeput omdat u hand my slaan.
- 11** U dissiplineer die mens deur hom te straf vir sy oortreding.^f
Soos 'n mot verteer u die dinge wat vir hom waardevol is.
Elke mens is maar net soos asem.^g (*Sela*)
- 12** Hoor my gebed, o Jehovah, luister na my geroep om hulp.^h
Moenie my trane ignoreer nie.
Want ek is maar net 'n uitlander vir u,ⁱ
'n reisiger wat tydelik hier is,* net soos al my voorvaders.^j
- 13** Hou op om woedend na my te kyk, sodat ek vrolik kan word
voordat ek sterf en nie meer daar is nie."

39:6 *Lett. "maak geraas". 39:12 *Of "n tydelike inwoner".

HFST. 39

- a Ps 62:9
Ps 144:4
- b Ps 49:10
Pr 2:18, 19
Pr 4:8
Lu 12:19, 20
- c Ps 25:11
Mi 7:19
- d Job 40:4
Ps 38:13
- e 2Sa 16:10
- f Ps 90:8
- g Ps 39:5
Ps 102:11
- h Ps 28:1
- i Le 25:23
1Kr 29:15
- j Heb 11:13

Tweede kol.

HFST. 40

- a Ps 34:15
- b Ps 33:3
Ps 98:1
- c Op 15:3
- d Eks 15:11
- e Ps 139:17, 18
- f 1Sa 15:22
Ps 51:16, 17
Ho 6:6
- g Jes 50:5
- h Heb 10:5-9
- i Lu 24:44
- j Joh 4:34

Vir die musiekleier.
Van Dawid. 'n Melodie.

- 40** Ek het vurig gehoop op* Jehovah,
en hy het afgebuk om na my te luister en my geroep om hulp gehoor.^a
- 2** Hy het my uit 'n bruisende put opgetrek,
uit die slymerige modder.
En hy het my voete op 'n groot rots laat staan.
Hy het my op vaste grond laat loop.
- 3** Toe het hy 'n nuwe lied in my mond gesit,^b
'n loflied aan ons God.
Baie sal met ontsag toekyk en op Jehovah vertrou.
- 4** Gelukkig is die man wat op Jehovah vertrou
en nie op opstandiges of leuenaars* nie.
- 5** Hoeveel dinge het u tog gedoen,
o Jehovah my God,
u wonderlike werke en u gedagtes teenoor ons.^c
Niemand kan met u vergelyk word nie.^d
As ek sou probeer om dit te vertel en om daarvan te praat,
sou dit te veel wees om op te noem!^e
- 6** U wou nie 'n offerande of 'n offergawe hê nie,^{*f}
maar u het my ore geopen om te kan hoor.^g
U het nie brandoffers en sonde-offers gevra nie.^h
- 7** Toe het ek gesê: "Kyk, ek het gekom.
In die boekrol is daar oor my geskryf."ⁱ
- 8** Dit is vir my 'n vreugde,* o my God, om u wil te doen,^j

40:1 *Of "geduldig gewag vir". 40:4 *Of "dié wat vals is". 40:6 *Of "het nie vreugde gevind in . . . nie". 40:8 *Of "Dit is my begeerte".

en u wet is diep binne-
in my.^a

- 9 Ek verkondig die goeie nuus
van regverdigheid in die
groot gemeente.^b

Kyk! Ek bly nie stil nie,^c
soos u goed weet,
o Jehovah.

- 10 Ek bedek nie u regverdig-
heid in my hart nie.

Ek maak u getrouheid en
redding bekend.

In die groot gemeente steek
ek nie u lojale liefde en u
waarheid weg nie.^d

- 11 O Jehovah, moenie u gena-
de van my terughou nie.

Mag u lojale liefde en
u waarheid my heeltyd
bewaar.^e

- 12 Die rampe wat my omring,
is te veel om te tel.^f

Ek word oorweldig deur so-
veel van my sondes dat ek
nie kan sien waar ek gaan
nie.^g

Dit is meer as die hare
op my kop,
en ek het moed verloor.

- 13 O Jehovah, wees asseblief
bereid om my te red.^h

O Jehovah, kom tog gou en
help my.ⁱ

- 14 Mag almal wat my wil
doodmaak,

skaam kry en verneder
word.

Mag dié wat bly is oor my
ramspoed,
in skande terugtrek.

- 15 Mag dié wat vir my sê: "Aha!
Aha!"

ontsteld wees as gevolg van
hulle eie skande.

- 16 Maar laat dié wat u dien,^{*j}
van vreugde uitroep en bly
wees as gevolg van u.^k

HFST. 40

a Ps 37:31
Ro 7:22

b Ps 22:22

c Heb 13:15

d Heb 2:12

e Ps 61:6,7

f Ps 71:20

g Ps 38:4

h Ps 25:17

i Ps 38:22
Ps 70:1-5

j De 4:29

k Ps 13:5

Tweede kol.

a Ps 35:27

b Ps 54:4
Jes 50:7
Heb 13:6

c Ps 143:7

HFST. 41

d De 15:7,8
Ps 112:9
Spr 14:21
Spr 22:9

e Mt 5:7

f 2Pe 2:9

g 2Kn 20:5
Ps 103:3

h Ps 51:1

i Ps 6:2
Ps 147:3

j Ps 32:5
Ps 38:3
Spr 28:13

Mag almal wat lief is vir u
reddingsdade, altyd sê:
"Mag Jehovah verheerlik
word."^a

- 17 Maar ek is hulpeloos en
arm.

Mag Jehovah aan my aan-
dag skenk.

U is my helper en my
redder.^b

My God, moenie te lank wag
voordat u kom nie.^c

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

- 41 Gelukkig is elkeen wat
aandag gee aan die
hulpelose.^d

Jehovah sal hom in die dag
van ramspoed red.

- 2 Jehovah sal hom beskerm
en sy lewe bewaar.

Hy sal gelukkig genoem
word op die aarde.^e

U sal hom nooit oorlewer
aan sy vyande* nie.^f

- 3 Jehovah sal hom op sy siek-
bed ondersteun.^g

Gedurende sy siekte sal u sy
bed heeltemal verander.

- 4 Want ek het gesê: "O Je-
hovah, wees genadig
teenoor my."^h

Genees my,ⁱ want ek het
teen u gesondig."^j

- 5 Maar my vyande praat sleg
van my:

"Wanneer sal hy doodgaan
en sal sy naam verdwyn?"

- 6 As een van hulle my kom
sien, vertel sy hart leuens.

Hy kry iets skadeliks om
te sê,

en dan gaan hy uit en
versprei dit oral.

- 7 Almal wat my haat, fluister
vir mekaar

en beplan slegte dinge
teen my:

41:2 *Of "die begeerte van sy vyande".

40:16 *Lett. "soek".

- 8 “Hy het iets verskrikliks oorgekom.
Noudat hy lê, sal hy nie weer opstaan nie.”^a
- 9 Selfs die man wat in vrede met my gelewe het, die een wat ek vertrou het,^b wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my opgelig.^{*c}
- 10 Maar u, o Jehovah, wees genadig teenoor my en help my op,
sodat ek hulle kan terugbetaal.

41:9 *Of “het teen my gedraai”.

HFST. 41

a Ps 3:2
Ps 71:10, 11

b 2Sa 15:12
Job 19:19
Ps 55:12, 13

c Mr 14:18
Joh 13:18
Joh 13:26

Tweede kol.

a Ps 31:8
Jer 20:13

b Ps 25:21
Spr 2:7

c Ps 34:15

d 1Kr 16:36
1Kr 29:10

- 11 Hieraan sal ek weet dat ek u goedkeuring geniet:
Wanneer my vyand nie kan uitroep omdat hy my oorwin het nie.^a
- 12 U ondersteun my weens my integriteit.^{*b}
U sal my vir ewig in u teenwoordigheid hou.^c
- 13 Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word tot in alle ewigheid.^{*d}
Amen en Amen.

41:12 *Of “onkreukbaarheid”. Sien Woordelys. 41:13 *Of “van ewigheid tot ewigheid”.

BOEK TWEE
(Psalm 42-72)

- Vir die musiekleier.
Maskil* van die seuns van Korag.^a
- 42 Soos 'n takbok wat na waterstrome verlang,
so verlang ek na u, o God.
- 2 Ek dors na God, na die lewende God.^b
Wanneer kan ek kom en voor God verskyn?^c
- 3 Dag en nag is my trane my voedsel.
Die hele dag lank spot my en sê hulle: “Waar is jou God?”^d
- 4 Ek onthou hierdie dinge, en ek stort my siel* uit,
want ek het voorheen saam met die skare geloop.
Ek het stadig voor hulle na die huis van God geloop,
met die geluide van vreugde en danksegging,
van 'n skare wat 'n fees vier.^e
- 5 Hoekom het ek alle moed verloor?^f
Hoekom is hierdie onrustigheid binne-in my?

42:Ops; 42:4 *Sien Woordelys.

HFST. 42

a 2Kr 20:19

b Ps 63:1

c Ps 27:4
Ps 84:2

d Ps 3:2
Ps 42:10
Ps 79:10

e De 16:14, 16
2Kr 30:23, 24

f Ps 55:4
Mr 14:34

Tweede kol.

a Ps 37:7
Klg 3:24
Mi 7:7

b Ps 43:5

c Ps 22:1
Joh 12:27

d Jon 2:7

e Ps 88:7

f Ps 27:1

g Ps 13:1

h Ps 38:6
Ps 43:2

- Wag op God,^a
want ek sal hom nog loof as my Groot Redder.^b
- 6 My God, ek het alle moed verloor.^c
Daarom dink ek aan u,^d
van die land van die Jordaanrivier en die pieke van Hermon af,
van die berg Misar* af.
- 7 Diep waters roep na diep waters
by die geluid van u watervalle.
Al u onstuimige golwe het my oorweldig.^e
- 8 Deur die dag sal Jehovah my sy lojale liefde gee,
en deur die nag sal sy lied by my wees – 'n gebed tot die God van my lewe.^f
- 9 Ek sal vir God, my groot rots, vra:
“Hoekom het u my vergeet?^g
Hoekom moet ek hartseer rondloop omdat my vyand my onderdruk?”^h
- 42:6 *Of “die klein berg”.

10 My vyande spot my met moorddadige vyandigheid.*

Die hele dag lank spot hulle jou en sê hulle: "Waar is jou God?"^a

11 Hoekom het ek alle moed verloor?

Hoekom is hierdie onrustigheid binne-in my?

Wag op God,^b

want ek sal hom nog loof as my Groot Redder en my God.^c

43 Oordeel my, o God,^d verdedig my regsake^e teen 'n nasie wat dislojaal is.

Red my van die man van bedrog en onregverdigheid.

2 Want u is my God, my vesting.^f

Hoekom het u my verwerp? Hoekom moet ek hartseer rondloop omdat my vyand my onderdruk?^g

3 Stuur u lig en u waarheid uit.^h

Laat dit my lei.ⁱ

Laat dit my na u heilige berg en na u groot tabernakel lei.^j

4 Dan sal ek na die altaar van God gaan,^k na God, my groot vreugde. En ek sal u met die harp loof,^l o God, my God.

5 Hoekom het ek alle moed verloor?

Hoekom is hierdie onrustigheid binne-in my?

Wag op God,^m

want ek sal hom nog loof as my Groot Redder en my God.ⁿ

42:10 *Of moontlik "asof hulle al my bene verbrysel".

HFST. 42

a Ps 3:2
Ps 42:3
Ps 79:10

b Ps 37:7

c Ps 42:5
Ps 43:5

HFST. 43

d Ps 26:1
Ps 35:24

e Ps 35:1
Spr 22:22, 23

f Ps 28:7
Ps 140:7

g Ps 42:9

h Ps 40:11
Spr 6:23

i Ps 5:8
Ps 27:11
Ps 143:10

j 1Kr 16:1
Ps 78:68, 69

k Ps 84:3

l 2Sa 6:5

m Ps 37:7

n Ps 42:5, 11

Tweede kol.

HFST. 44

a 2Kr 20:19

b Eks 13:14
Nu 21:14
Rig 6:13

c De 7:1

d Eks 15:17
Ps 78:55
Ps 80:8, 9

e Jos 10:5, 11
Ps 135:10, 11

f De 4:38
Jos 24:12

g 1Sa 12:22

h Jes 63:11-13

i De 7:7, 8

j Ps 74:12
Jes 33:22

k Ps 18:39
Flp 4:13

l Ps 60:12

m 1Sa 17:45
Ps 20:7
Ps 33:16

n Jos 24:8

Vir die musiekleier.

Van die seuns van Korag.^a Maskil.*

44 O God, ons het met ons eie ore gehoor,

ons voorvaders het vir ons vertel,^b

wat u in hulle tyd gedoen het,

in die tyd van lank gelede.

2 Met u hand het u nasies verdryf^c

en ons voorvaders daar laat woon.^d

U het nasies verslaan en hulle uitgedryf.^e

3 Dit was nie deur hulle eie swaard dat hulle die land in besit geneem het nie,^f en dit was nie hulle eie arm wat hulle laat oorwin het nie.^g

Dit was eerder u regterhand en u arm^h en u goedheid, want u was lief vir hulle.ⁱ

4 U is my Koning, o God.^j Gee* vir Jakob 'n algehele oorwinning.[#]

5 Deur u krag sal ons ons vyande terugdryf.^k In u naam sal ons dié vertrap wat teen ons opstaan.^l

6 Want ek vertrou nie op my boog nie, en my swaard kan my nie red nie.^m

7 Dit was u wat ons van ons vyande gered het,ⁿ u wat die mense wat ons haat, verneder het.

8 O God, ons sal u die hele dag lank loof, en ons sal u naam vir ewig prys. (*Sela*)

9 Maar nou het u ons verwerp en ons verneder, en u gaan nie saam met ons leërmagte uit nie.

44:Ops *Sien Woordelys. 44:4 *Lett. "Beveel". #Of "groot redding".

10 U laat ons heelyd terugtrek voor ons vyand.^a

Dié wat ons haat, neem wat hulle ook al wil.

11 U lewer ons oor om soos skape verslind te word.

U het ons onder die nasies verstrooi.^b

12 U verkoop u volk vir byna niks.^c

U maak geen wins uit die verkoopprys nie.

13 U maak ons 'n bespotting vir ons bure.

Almal om ons spot met ons en lag ons uit.

14 U maak ons 'n bespotting* onder die nasies,^d

iets waarvoor die volke hulle koppe skud.

15 Ek voel die hele dag lank vernederd,

en ek is oorweldig deur my skande,

16 as gevolg van die geluid van hulle bespotting en beledigings,

as gevolg van ons vyand wat wraak neem.

17 Dit alles het oor ons gekom, en tog het ons u nie vergeet nie,

en ons het u verbond nie verbreek nie.^e

18 Ons hart het nie afgewyk nie.

Ons voetstappe dwaal nie van u pad af nie.

19 Maar u het ons verpletter op die plek waar die jakkalse woon.

U het ons met diep skaduwee bedek.

20 As ons die naam van ons God vergeet het,

of as ons ons hande in 'n gebed aan 'n vreemde god uitgestrek het,

21 sal God dit nie uitvind nie?

44:14 *Lett. "'n spreekwoord".

HFST. 44

a De 28:15, 25

b De 28:64

c De 32:30

d De 28:37
2Kr 7:20

e Eks 34:10

Tweede kol.

a Ps 139:1
Pr 12:14
Jer 17:10

b Ro 8:36

c Ps 7:6
Ps 78:65, 66

d Job 13:24
Ps 13:1
Ps 88:14

e Ps 119:25

f Ps 33:20

g Ps 130:7

HFST. 45

h 2Kr 20:19

i Ps 2:6

j Jes 8:1

k 2Sa 23:2
Esr 7:6

l Joh 7:46

m Ps 72:17

n Op 1:16
Op 19:15

o Jes 9:6

p Heb 1:3

q Op 6:2

r Op 19:11

Hy is bewus van die geheime van die hart.^a

22 Omdat ons u volk is, word ons die hele dag lank doodgemaak.

Ons word beskou as skape wat geslag moet word.^b

23 Staan tog op. Hoekom bly u slaap, o Jehovah?^c

Word tog wakker! Moet ons nie vir ewig verwerp nie.^d

24 Hoekom draai u u gesig weg?

Hoekom vergeet u dat ons swaarkry en onderdruk word?

25 Want ons is na die stof afgebring.

Ons liggame is teen die grond vasgedruk.^e

26 Staan tog op as ons helper!^f

Red* ons as gevolg van u lojale liefde.^g

Vir die musiekleier:

Op die wysie van "Die lelies". Van die seuns van Korag.^h Maskil.*
"n Liefdeslied.

45 My hart is geroer deur iets goeds.

Ek sê: "My lied* is oor 'n koning."ⁱ

Mag my tong die pen[#] van 'n vaardige kopiis^Δ wees.^k

2 U is die aantreklikste van al die mense.

Aangename woorde vloei oor u lippe.^l

Daarom het God u vir ewig geseën.^m

3 Maak u swaardⁿ aan u sy vas, o magtige,^o

in u waardigheid en u prag.^p

4 Gaan in u prag voort tot oorwinning.*^q

Ry ter wille van waarheid en nederigheid en regverdigheid.^r

44:26 *Lett. "Verlos". **45:Ops** *Sien Woordelys. **45:1** *Lett. "werke". #Of "stif". ΔOf "oorskrywer". **45:4** *Of "sukses".

- U regterhand sal ontsagwekkende dinge doen.*
- 5** U pyle is skerp en laat die volke voor u val.^a
Hulle deurboor die harte van die koning se vyande.^b
- 6** God is u troon vir ewig en altyd.^c
Die septer van u koninkryk is 'n septer van geregtigheid.^d
- 7** U was lief vir regverdigheid^e en het goddeloosheid gehaat.^f
Daarom het God, u God, u met die olie van vreugde^g gesalf,^h meer as u metgeselle.
- 8** Al u klere is gegeur met mirre en aalwynhout en kassia.
Vanuit die groot ivoorpaleis maak snaarinstrumente u bly.
- 9** Die dogters van konings is onder u geëerde vrouens.
Die koningin het aan u regterhand gaan staan, geklee in goud van Ofir.ⁱ
- 10** Luister, o dogter, skenk aandag en luister.
Vergeet van jou volk en jou vader se huis.
- 11** En die koning sal na jou skoonheid verlang,
want hy is jou heer.
Buig dus voor hom neer.
- 12** Die dogter van Tirus sal met 'n geskenk kom.
Die rykste mense sal jou goedkeuring soek.*
- 13** In die paleis* is die koning se dogter absoluut pragtig.
Haar klere is met goud versier.[#]

45:4 *Of "sal u ontsagwekkende dinge leer". **45:12** *Of "aangesig versag". **45:13** *Lett. "Binne". #Of "het goue borduurwerk".

HFST. 45

a Ps 2:9
2Te 1:7, 8

b Op 17:14
Op 19:19

c Ps 89:29, 36

d Jes 11:4
Jer 33:15
Heb 1:8, 9

e Heb 7:26

f Mt 7:23

g Ps 21:6

h Jes 61:1
Han 10:38

i Jes 13:12

Tweede kol.

a Jes 32:1

b Ps 72:17

HFST. 46

c 2Kr 20:19

d Spr 14:26
Jes 25:4

e De 4:7
Ps 145:18, 19
Na 1:7

f Jes 54:10

g Ps 93:4
Jer 5:22

h 2Kr 6:6

i De 23:14
Ps 132:13
Jes 12:6

j Eks 14:24

- 14** Sy sal na die koning gebring word in klere wat pragtig geweef is.*

Die maagde[#] wat haar volg, word voor u gebring.

- 15** Hulle sal met blydschap en vreugde gebring word.
Hulle sal in die koning se paleis ingaan.

- 16** U seuns sal die plek van u voorvaders inneem.
U sal hulle as hoofde regoor die aarde aanstel.^a

- 17** Ek sal u naam in alle toekomstige geslagte bekend maak.^b
Daarom sal volke u vir ewig en altyd loof.

Vir die musiekleier.

Van die seuns van Korag.^c

Volgens die Alamot-styl.* 'n Lied.

- 46** God is ons skuilplek en sterkte,^d

'n hulp wat maklik gevind kan word in moeilike tye.^e

- 2** Daarom sal ons nie bang wees nie, al ondergaan die aarde veranderinge,
al stort die berge in die dieptes van die see,^f
- 3** al druis en skuim sy waters,^g
al skud die berge as gevolg van sy onstuimigheid. (*Sela*)

- 4** Daar is 'n rivier waarvan die strome die stad van God vreugdevol maak,^h
die heilige, groot tabernakel van die Allerhoogste.

- 5** God is in die stad.ⁱ Dit kan nie vernietig word nie.
God sal dit kom red
wanneer die oggend aanbreek.^j

- 6** Die nasies was in beroering,
die koninkryke is verslaan.

45:14 *Of moontlik "in gebourde klere". #Of "maagdelike metgeselle". **46:Ops** *Sien Woordelys.

Hy het sy stem verhef, en die aarde het gesmelt.^a

- 7 Jehovah van die leërmagte is met ons.^b

Die God van Jakob is ons veilige skuilplek.* (*Sela*)

- 8 Kom sien die dade van Jehovah, hoe hy verstommende dinge op die aarde gedoen het.

- 9 Hy maak regoor die aarde 'n einde aan oorloë.^c

Hy breek die boog en vernietig die spies.

Hy verbrand die militêre waens* met vuur.

- 10 "Onderwerp julle en weet dat ek God is.

Ek sal verheerlik word onder die nasies.^d

Ek sal verheerlik word op die aarde."^e

- 11 Jehovah van die leërmagte is met ons.^f

Die God van Jakob is 'n veilige skuilplek vir ons.^g (*Sela*)

Vir die musiekleier.

Van die seuns van Korag,^h 'n Melodie.

- 47** Alle volke, klap julle hande.

Loof God, roep van vreugde uit.

- 2 Want Jehovah, die Allerhoogste, is ontsagwekkend.ⁱ

Hy is die groot Koning oor die hele aarde.^j

- 3 Hy onderwerp volke onder ons.

Hy plaas nasies onder ons voete.^k

- 4 Hy kies ons erfdeel uit vir ons,^l

die trots van Jakob, vir wie hy lief is.^m (*Sela*)

- 5 God het opgegaan terwyl daar 'n gejuig was.

HFST. 46

a Jos 2:24

b Jos 1:9

Jer 1:19

Ro 8:31

c Jes 11:9

Mi 4:3

d Jes 2:11

e 1Kr 29:11

f 2Kr 20:17

g Ps 48:3

Ps 125:2

HFST. 47

h 2Kr 20:19

i Ps 76:12

j Ps 22:28

k De 33:29

l De 9:5

m De 7:6

Mal 1:2

Tweede kol.

a Jer 10:7

Sag 14:9

b 1Kr 16:31

Ps 96:10

Ps 97:1

Op 19:6

c Ps 97:9

HFST. 48

d 2Kr 20:19

e Klg 2:15

f Ps 47:8

Ps 135:21

Mt 5:34, 35

g Ps 125:1

Jehovah het opgegaan terwyl die geluid van die horing* gehoor is.

- 6 Sing lofliedere* vir God, sing lofliedere.

Sing lofliedere vir ons Koning, sing lofliedere.

- 7 Want God is Koning oor die hele aarde.^a

Sing lofliedere en toon insig.

- 8 God het Koning geword oor die nasies.^b

God sit op sy heilige troon.

- 9 Die leiers van die volke het bymekaargekom

saam met die volk van die God van Abraham.

Want die heersers* van die aarde behoort aan God.

Hy is hoog bo almal.^c

^hn Lied.

ⁿn Melodie van die seuns van Korag.^d

- 48** Jehovah is groot en verdien beslis om geloof te word

in die stad van ons God, op sy heilige berg.

- 2 Die berg Sion in die verre noorde^e

is pragtig as gevolg van haar hoë posisie, die vreugde van die hele aarde,

die stad van die Groot Koning.^f

- 3 In haar versterkte torings het God bekend gemaak dat hy 'n veilige skuilplek* is.^g

- 4 Kyk! Konings het bymekaargekom.*

Saam het hulle uitgegaan.

- 5 Toe hulle dit sien, was hulle verbaas.

Hulle het bang geword en in vrees gevlug.

- 6 Daar het hulle erg begin bewe

47:5 *Of "ramshoring; trompet".

47:6 *Of "Maak musiek". 47:9 *Lett. "skilde". 48:4 *Of "volgens afspraak byengekom".

46:7; 48:3 *Of "veilige hoogte". 46:9 *Of moontlik "die skilde".

en pyn gehad soos dié van 'n vrou wat geboorte gee.

7 Met 'n oostewind vernietig u die skepe van Tarsis.

8 Waarvan ons gehoor het, het ons nou self gesien in die stad van Jehovah van die leërmagte, in die stad van ons God.

God sal dit vir ewig stewig vestig.^a (*Sela*)

9 Ons peins oor u lojale liefde, o God,^b in u tempel.

10 Soos u naam, o God, strek u lof tot aan die eindes van die aarde.^c

U regterhand is vol regverdigheid.^d

11 Laat die berg Sion^e bly wees, laat die dorpe* van Juda bly wees as gevolg van u oordele.^f

12 Loop om Sion en gaan reg rondom haar. Tel die torings.^g

13 Vestig julle aandag op die versterkte mure.^{*h} Onderzoek die versterkte torings, sodat julle toekomstige geslagte daarvan kan vertel.

14 Want hierdie God is vir ewig en altyd ons God.ⁱ Hy sal ons vir ewig lei.^{*j}

Vir die musiekleier.

Van die seuns van Korag.^k 'n Melodie.

49 Luister hierna, alle volke. Skenk aandag, alle inwoners van die wêreld,^{*}

2 klein sowel as groot,^{*} ryk sowel as arm.

48:11 *Lett. "dogters". **48:13** *Of "die skanse". **48:14** *Of moontlik "lei totdat ons sterf". **49:1** *Of "stelsel van dinge". **49:2** *Lett. "seuns van die mensdom sowel as seuns van die mens".

HFST. 48

a Ps 87:5
Jes 2:2
Mi 4:1

b Ps 26:3
Ps 40:10
Ps 63:3

c Ps 113:3

d Ps 17:7
Ps 60:5
Ps 98:2

e Ps 78:68

f Ps 97:8

g Ne 12:38, 39

h Jes 26:1

i Ps 31:14

j Jes 58:11

HFST. 49

k 2Kr 20:19

Tweede kol.

a Ps 143:5

b Ps 27:1

c De 8:17, 18
Spr 18:11

d Jer 9:23
1Ti 6:17

e Spr 11:4
Mt 16:26

f Ps 89:48

g Pr 2:16
Ro 5:12

h Ps 39:6
Spr 11:4
Spr 23:4
Pr 2:18
Lu 12:19, 20

i Ps 39:5
Jak 1:11

j Ps 49:20

k Lu 12:19, 20

3 Wyse woorde sal uit my mond kom, en die bepeinsing van my hart^a sal toon dat ek begrip het.

4 Ek sal aandag gee aan 'n spreekwoord.

Ek sal my raaisel verduidelik terwyl ek op die harp speel.

5 Hoekom moet ek bang wees in moeilike tye,^b wanneer ek omring is deur die goddeloosheid* van dié wat my wil verslaan?

6 Daar is dié wat op hulle rykdom vertrou^c en wat oor hulle groot rykdom spog.^d

7 Maar nie een van hulle kan ooit 'n broer loskoop of 'n losprys aan God vir hom gee nie.^e

8 (die losprys vir hulle lewe is so kosbaar dat dit altyd buite hulle bereik sal wees)

9 sodat hy vir ewig sal lewe en nie die graf sal sien nie.^f

10 Hy sien dat selfs wyse mense sterf.

Dom en dwase mense sterf almal,^g en hulle moet hulle rykdom vir ander los.^h

11 Hulle innerlike wens is dat hulle huise vir ewig sal bly staan, hulle tente van geslag tot geslag.

Hulle het hulle eiendom na hulleself vernoem.

12 Maar die mens, al word hy geëer, sal nie bly lewe nie.ⁱ Hy is niks beter as die diere wat doodgaan nie.^j

13 Dit is die weg van die dwase^k en van dié wat hulle volg, wat van hulle leë woorde hou. (*Sela*)

49:5 *Lett. "oortreding".

- 14** Hulle word soos skape na die Graf* gestuur.
Die dood sal hulle herder wees.
Die regverdiges sal in die oggend oor hulle regeer.^a
Elke spoor van hulle sal verdwyn.^b
Hulle sal in die Graf*^c woon eerder as in 'n paleis.^d
- 15** Maar God sal my uit die mag* van die Graf* loskoop,^e
want hy sal my daaruit neem. (*Sela*)
- 16** Moenie bang wees omdat 'n man ryk word,
omdat die prag van sy huis toeneem nie,
17 want wanneer hy sterf, kan hy niks saam met hom neem nie.^f
Sy heerlikheid sal nie saam met hom afgaan nie.^g
- 18** Want gedurende sy leeftyd wens hy homself geluk,^h
(Mense prys jou wanneer jy voorspoedig is.)ⁱ
- 19** Maar uiteindelik sluit hy by die geslag van sy voorvaders aan.
Hulle sal nooit weer die lig sien nie.
- 20** 'n Mens wat dit nie verstaan nie, al word hy geëer,^j
is niks beter as die diere wat doodgaan nie.
- 'n Melodie van Asaf.^k
- 50** Die God van gode, Jehovah,*^l het gepraat.
Hy roep die aarde op van waar die son opkom tot waar dit ondergaan.^m
- 2** God skyn vanuit Sion, die plek van volmaakte skoonheid.ⁿ

49:14, 15 *Of "Sjeool". Sien Woordelyste. **49:15** [#]Lett. "hand". **50:1** *Of "Die Goddelike Wese, God, Jehovah".
[#]Of "van die ooste tot die weste".

HFST. 49

- a Mal 4:3
b Ps 39:11
c Job 24:19
d 1Sa 2:6
Job 7:9
e Job 33:28
Ps 16:10
Ps 30:3
Ps 86:13
f Job 1:21
Pr 5:15
1Ti 6:17
g Jes 10:3
h Lu 12:19
i Spr 14:20
j Ps 49:12

HFST. 50

- k 1Kr 25:1
l Ps 95:3
m Ps 48:2
Klg 2:15

Tweede kol.

- a Jes 65:6
b Eks 19:18
Da 7:9,10
Heb 12:29
c Ps 97:3, 4
d De 30:19
De 32:1
Jes 1:2
e Mi 6:2
f Eks 24:8
g Ps 75:7
h Ne 9:30
Ps 81:8
i Eks 20:2
j 1Sa 15:22
Jes 1:11
Jer 7:22, 23
Ho 6:6
k Mi 6:7
l 1Kr 29:14
Han 17:24
m Job 38:41
n De 10:14
Job 41:11
1Kor 10:26
o Mi 6:6-8
p Ps 69:30, 31
Spr 21:3
Ho 6:6
Heb 13:15

- 3** Ons God sal kom en kan nie stilbly nie.^a
Voor hom is 'n verterende vuur,^b
en 'n groot storm woed al om hom.^c
- 4** Hy roep die hemel daar bo en die aarde,^d
sodat hy sy volk kan oordeel.^e
- 5** "Versamel my lojales by my, dié wat deur middel van 'n offerande 'n verbond met my maak."^f
- 6** Die hemel verkondig sy regverdigheid,
want God is Regter.^g (*Sela*)
- 7** "Luister, o my volk, en ek sal praat.
Israel, ek sal teen jou getuig.^h
Ek is God, jou God.ⁱ
- 8** Ek wys jou nie tereg as gevolg van jou offerandes nie,
ook nie as gevolg van jou heelbrandoffers wat die hele tyd voor my is nie.^j
- 9** Ek hoef nie 'n bul uit jou huis te neem nie,
of bokke* uit jou krale nie.^k
- 10** Want al die wilde diere van die woud is myne,^l
selfs die diere op 'n duisend berge.
- 11** Ek ken elke voël van die berge.^m
Die tallose diere van die veld is myne.
- 12** As ek honger was, sou ek nie vir jou sê nie,
want die vrugbare land en alles daarin is myne.ⁿ
- 13** Sal ek die vleis van bulle eet en die bloed van bokke drink?^o
- 14** Bring dankbaarheid as jou offerande aan God,^p

50:9 *Lett. "bokramme".

en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.^a

- 15** Roep my aan in moeilike tye.^b
Ek sal jou red, en jy sal my verheerlik.^c
- 16** Maar God sal vir die goddelose sê:
“Watter reg het jy om my wetsvoorskrifte op te noem^d
of om oor my verbond te praat?^e
- 17** Want jy haat dissipline,^{*} en jy bly jou rug op my woorde draai.^{#f}
- 18** Wanneer jy 'n dief sien, keur jy goed wat hy doen,^{*g} en jy assosieer met egbrekers.
- 19** Jy gebruik jou mond om slegte dinge te versprei, en bedrog sit vas aan jou tong.^h
- 20** Jy sit en praat teen jou eie broer.ⁱ
Jy openbaar die foute van* jou eie ma se seun.
- 21** Toe jy hierdie dinge gedoen het, het ek stilgebly, en daarom het jy gedink dat ek net soos jy sou wees. Maar nou gaan ek jou tereg wys, en ek sal my saak teen jou stel.^j
- 22** Dink asseblief hieraan, julle wat God vergeet,^k anders sal ek julle verskeur, en daar sal niemand wees om julle te red nie.
- 23** Die een wat dankbaarheid as sy offerande bring, verheerlik my,^l en wat die een betref wat 'n vaste weg volg,

50:17 *Of “onderrigting”. #Lett. “jy bly my woorde agter jou gooi”. **50:18** *Of moontlik “sluit jy by hom aan”. **50:20** *Of “Jy belaster”.

HFST. 50

- a De 23:21
Ps 76:11
Pr 5:4
- b 2Kr 33:12, 13
Ps 91:15
- c Ps 22:21-23
Ps 50:23
- d Jer 7:4
Mt 7:22, 23
Ro 2:21
- e De 31:20
Heb 8:9
- f Ne 9:26
Jes 5:24
- g Jes 5:22, 23
h Jer 9:5
- i Le 19:16
- j Ps 50:4
Pr 12:14
- k Ps 9:17
Jer 2:32
Ho 4:6
- l 1Te 5:18
Heb 13:15

Tweede kol.

a Mi 6:8

HFST. 51

- b 2Sa 11:3
- c Nu 14:18
Ps 25:7
Ps 41:4
- d Ps 103:13
Spr 28:13
Jes 43:25
Jes 44:22
- e Jes 1:18
1Kor 6:11
- f Heb 9:13, 14
1Jo 1:7
- g Ps 32:5
Ps 40:12
- h Ge 39:9
2Sa 12:13
- i 2Sa 12:9
Ps 38:18
- j Ro 3:4
- k Job 14:4
Ro 3:23
Ro 5:12
- l 1Sa 16:7
2Kn 20:3
1Kr 29:17
- m Le 14:3, 4
Heb 9:13, 14
- n Jes 1:18
- o Ps 6:2
Ps 38:3
Jes 57:15

ek sal hom redding deur God laat sien.”^a

Vir die musiekleier. 'n Melodie van Dawid, toe die profeet Natan na hom toe gekom het nadat Dawid seksuele omgang met Batse'ba gehad het.^b

51 Betoon genade aan my, o God, in ooreenstemming met u lojale liefde.^c

Wis my oortredings uit in ooreenstemming met u groot genade.^d

- 2** Was my skoon van my oortreding,^e en reinig my van my sonde.^f
- 3** Want ek is deeglik bewus van my oortredings, en ek dink heelyd aan my sonde.^{*g}
- 4** Teen u – veral u* – het ek gesondig.^h
Ek het gedoen wat sleg is in u oë.ⁱ
U is dus regverdig wanneer u praat
en reg wanneer u oordeel.^j
- 5** Ek is skuldig van geboorte af, en ek is sondig vandat my ma swanger geraak het met my.^{*k}
- 6** Ek weet dat dit u bly maak wanneer daar waarheid in iemand se hart is.^l
Leer my hart* ware wysheid.
- 7** Reinig my van my sonde met hisop, sodat ek rein kan wees.^m
Was my, sodat ek witter as sneeu kan wees.ⁿ
- 8** Laat my geluide van vreugde en blydschap hoor, sodat al my bene wat u verguis het, bly kan wees.^o

51:3 *Of “my sonde is heelyd voor my”. **51:4** *Lett. “u alleen”. **51:5** *Of “en in sonde het my ma met my swanger geraak”. **51:6** *Of “my innerlike persoon”.

- 9 Draai u gesig weg van my sondes af,^a en vee al my oortredings uit.^b
- 10 Skep 'n suiwer hart in my, o God,^c en plaas 'n nuwe, standvastige gees in my.^d
- 11 Moet my nie van u af wegstoot nie, en moenie u heilige gees van my af wegneem nie.
- 12 Gee my weer die vreugde van u redding.^e Gee my 'n begeerte om u te gehoorsaam.*
- 13 Ek sal oortreders u weë leer,^f sodat sondaars tot u kan terugkeer.
- 14 Red my van bloedskuld,^g o God, die God van my redding,^h sodat my tong u regverdigheid met vreugde kan verkondig.ⁱ
- 15 O Jehovah, maak my mond oop, sodat dit u lof kan verkondig.^j
- 16 Want u wil nie 'n offerande hê nie – anders sou ek dit gee.^k 'n Heelbrandoffer gee u geen vreugde nie.^l
- 17 Die offerande wat vir God aangenaam is, is 'n gebroke gees. O God, u sal nie 'n gebroke en verpletterde hart verwerp* nie.^m
- 18 Doen wat goed is vir Sion, volgens u wil. Bou die mure van Jerusalem op.
- 19 Dan sal u die offerandes van regverdigheid aanvaar, die brandoffers en die heeloffers.

51:12 *Lett. "Mag u my ondersteun met 'n gewillige gees". 51:17 *Of "verag".

HFST. 51

- a Ps 103:12
Jes 38:17
- b Mi 7:19
- c Jer 32:39
- d Ese 11:19
Ef 4:23
- e Ps 21:1
- f Han 2:38
- g Ge 9:6
- h Ps 38:22
Jes 12:2
Op 7:10
- i Ne 9:33
Ps 35:28
Ps 59:16
Da 9:7
- j Ps 34:1
Ps 109:30
Heb 13:15
- k Spr 21:3
- l 1Sa 15:22
Ps 40:6
Ho 6:6
- m 2Kn 22:18, 19
2Kr 33:13
Ps 22:24
Ps 34:18
Spr 28:13
Jes 57:15
Lu 15:22-24
Lu 18:13, 14

Tweede kol.

- a Ho 14:2

HFST. 52

- b 1Sa 22:9
- c 1Sa 21:7
Ps 94:3, 4
- d Ps 103:17
- e Ps 57:4
Ps 59:7
- f 1Sa 22:9, 18
Ps 109:2
- g Spr 12:19
Spr 19:9
- h Ps 37:9
- i Spr 2:22
- j Ps 37:34
- k Ps 58:10
- l Jer 17:5
- m Ps 49:6, 7
Spr 11:28
- n Ps 13:5
- o Ps 147:11
Ps 50:15

Dan sal bulle op u altaar geoffer word.^a

Vir die musiekleier. Maskil.*
Van Dawid, toe die Edomiet Doëg vir Saul kom sê het dat Dawid na die huis van Ahime'leg gekom het.^b

52 Hoekom spog jy oor jou slegte dade, o magtige?^c
Die lojale liefde van God duur die hele dag.^d

2 Jou tong, wat so skerp soos 'n skeermes is,^e

beraam skadelike planne en is bedrieglik.^f

3 Jy het goddeloosheid meer lief as die goeie, en jy lieg meer as wat jy die waarheid praat. (*Sela*)

4 Jy is lief vir elke skadelike woord, o bedrieglike tong!

5 Daarom sal God jou eens en in altyd afruk.^g

Hy sal jou gryp en jou wegruk uit jou tent.^h

Hy sal jou uit die land van die lewendes uitruk.ⁱ (*Sela*)

6 Die regverdige sal dit sien en met ontsag vervul word,^j

en hulle sal vir hom lag.^k

7 "Hier is 'n man wat nie beskerming by God gaan soek het nie,*^l

maar hy het op sy groot rykdom vertrou^m

en staatgemaak opⁿ sy eie goddelose planne."^o

8 Maar ek sal soos 'n gesonde olyfboom in God se huis wees.

Ek vertrou op God se lojale liefde,ⁿ vir ewig en altyd.

9 Ek sal u vir ewig loof, want u het opgetree.^o

52:Ops *Sien Woordelys. 52:7 *Of "wat God nie sy vesting gemaak het nie". *Of "beskerming gesoek in".
△Of "rampspoede wat hy veroorsaak".

In die teenwoordigheid
van u lojales
sal ek op u naam hoop,^a
want dit is goed.

Vir die musikleier: In die styl van
Mahalat.* Maskil.* Van Dawid.

53 Die dwaas* sê in sy hart:
“Daar is geen Jehovah
nie.”^b

Hulle onregverdigde daede is
korrup en afskuwelik.
Nie een van hulle doen wat
goed is nie.^c

2 Maar God kyk vanuit die
hemel na die mense^d
om te sien of enigiemand
sig het en of enigiemand
Jehovah se leiding soek.^e

3 Hulle het almal afgedwaal,
en hulle is almal goddeloos.
Niemand doen wat goed
is nie,

nie eers een nie.^f

4 Is daar nie eers een oortreder
wat verstaan nie?
Hulle verslind my volk asof
hulle brood eet.

Hulle roep Jehovah nie
aan nie.^g

5 Maar hulle sal met groot
vrees vervul word,
’n vrees wat hulle nog nooit
ondervind het nie,*
want God sal al die been-
dere verstrooi van dié
wat jou aanval.^h

Jy sal hulle verneder, want
Jehovah het hulle ver-
werp.

6 O mag Israel se redding
uit Sion^h kom!
Wanneer Jehovah sy gevan-
ge volk weer terugbring,
laat Jakob bly wees, laat
Israel vreugdevol wees.

53:Ops; 54:Ops; 55:Ops *Sien Woor-
delys. 53:1 *Of “verstandelose”.
53:5 *Of moontlik “vrees waar daar
niks was om te vrees nie”. ^aLet.
“teen jou kamp opslaan”.

HFST. 52

a Ps 27:14
Ps 123:2
Spr 18:10

HFST. 53

b Ps 10:4
Ro 1:21
c Ps 14:1-7
Ro 3:10
d Ps 11:4
Ps 33:13-15
Jer 16:17
Jer 23:24
e 1Kr 28:9
2Kr 15:2
2Kr 19:1, 3
Jes 55:6
1Pe 3:12
f Pr 7:20
Ro 3:12
g Job 21:7, 14
h Jes 12:6

Tweede kol.

HFST. 54

a 1Sa 23:19
1Sa 26:1
b Ps 20:1
Ps 79:9
Spr 18:10
c Ps 43:1
d Ps 13:3
Ps 65:2
e Ps 22:16
Ps 59:3
f Ps 36:1
g 1Kr 12:18
Heb 13:6
h Ro 12:19
i Ps 143:12
j Ps 50:14
Heb 13:15
k Ps 7:17
Ps 52:9
l 2Sa 4:9
Ps 34:19
Ps 37:39
m Ps 37:34
Ps 59:10

HFST. 55

n 1Pe 3:12
o Ps 28:2
Ps 143:7
p Ps 17:1
q Jes 38:14

Vir die musikleier: Moet met
snaarinstrumente begelei word.
Maskil.* Van Dawid, toe die Sifiete
gekem het en vir Saul gesê het:
“Dawid kruip tussen ons weg.”^a

54 O God, red my deur
u naam,^b
en verdedig my*^c met
u krag.

2 O God, hoor my gebed,^d
en skenk aandag aan die
woorde van my mond.

3 Want vreemdelinge staan
op teen my,
en wrede manne wil my
doodmaak.^e
Hulle het geen respek vir
God nie.^f (*Seta*)

4 Kyk! God is my helper.^g
Jehovah is met dié wat my
ondersteun.

5 Hy sal my vyande terug-
betaal^h met hulle eie
goddeloosheid.

Maak ’n einde aan hulle*
weens u getrouheid.ⁱ

6 Ek sal gewillig offerandes
aan u bring.^j
Ek sal u naam loof, o Jeho-
vah, want dit is goed.^k

7 Want hy red my van alle
moeilikhede,^l
en ek sal sien hoe my
vyande val.^m

Vir die musikleier:
Moet met snaarinstrumente begelei
word. Maskil.* Van Dawid.

55 Luister na my gebed,
o God,ⁿ
en moenie my versoek om
genade ignoreer nie.*^o

2 Skenk tog aandag aan my
en antwoord my.^p
My besorgdheid maak my
rusteloos,^q
en ek is baie angstig

54:1 *Of “bepleit my saak”. 54:3 *Of
“Hulle hou God nie voor hulle nie”.
54:5 *Let. “Maak hulle stil”. 55:1 *Of
“en moet u nie verberg wanneer ek bid
vir hulp nie”.

- 3** as gevolg van wat die vyand sê en weens die druk van die goddelose. Want hulle oorlaai my met probleme, en in hulle woede is hulle vyandig teenoor my.^a
- 4** My hart pyn binne-in my,^b en die angs van die dood oorweldig my.^c
- 5** Vrees kom oor my, en ek begin bewe, en rillings gaan deur my hele liggaam.
- 6** Ek bly sê: "As ek maar net vlerke soos 'n duif gehad het! Ek sou wegvlieg en in veiligheid gaan woon.
- 7** Kyk! Ek sou ver weg vlug.^d Ek sou in die wildernis bly.^e (*Sela*)
- 8** Ek sou vinnig na 'n skuilplek gaan, weg van die sterk wind, weg van die storm."^f
- 9** Verwar hulle, o Jehovah, en laat hulle planne misluk,^{*f} want ek het geweld en konflik in die stad gesien.
- 10** Dag en nag loop hulle rond op sy mure. Daar is haat en moeilikheid in die stad.^g
- 11** Vernietiging is daarbinne. Daar is altyd onderdrukking en bedrog op sy openbare plein.^h
- 12** Want dit is nie 'n vyand wat my uittaart nie.ⁱ Anders sou ek dit kon verdra. Dit is nie 'n vyand wat teen my opgekrom het nie. Anders sou ek vir hom kon wegkruip.
- 13** Maar dit is jy, 'n mens soos ek,^{*j}

55:9 *Lett. "verdeel hulle tong".
55:13 *Of "n mens, my gelyke".

HFST. 55

a 2Sa 16:5-7

b Ps 69:29

c Ps 18:4
Ps 116:3
Jes 38:10

d 2Sa 15:14

e 1Sa 23:14

f 2Sa 15:31
2Sa 17:7

g 2Sa 17:1

h Ps 109:2

i Ps 41:9
Mt 26:21
Joh 13:18j 2Sa 15:12
2Sa 16:23

Tweede kol.

a Lu 22:21
Lu 22:48b 2Sa 17:23
2Sa 18:14
Ps 109:15
Mt 27:3, 5
Han 1:16, 18

c Ps 91:15

d Ps 119:147
Da 6:10

e Ps 5:3

f 2Kr 32:7
Ps 3:6

g Ps 143:12

h De 33:27
Ps 90:2

i Ps 36:1

j 2Sa 15:12

k 2Sa 5:3
Pr 8:2

l 2Sa 16:23

m Ps 28:3
Ps 62:4n Ps 43:5
1Pe 5:6, 7o Ps 37:5
Ps 68:19
Flp 4:6, 7

my eie vriend wat ek goed ken.^a

- 14** Ons het 'n hegte vriendskap geniet.

Ons het saam met die menigte na die huis van God geloop.

- 15** Laat vernietiging hulle inhaal!^b

Laat hulle lewend in die Graf* afgaan,

want goddeloosheid woon tussen hulle en in hulle.

- 16** Maar ek sal tot God roep, en Jehovah sal my red.^c

- 17** In die aand, in die oggend en in die middag voel ek angstig en kreun ek,^d en hy hoor my stem.^e

- 18** Hy sal my vrede gee en my red* van dié wat teen my veg, want baie mense kom teen my op.^f

- 19** God sal hoor en hulle antwoord,^g die Een wat van die ou tyd af op die troon sit.^h (*Sela*)

Hulle sal weier om te verander, hulle wat God nie gevrees het nie.ⁱ

- 20** Hy* het dié aangeval wat in vrede met hom gelewe het.^j

Hy het sy verbond verbreek.^k

- 21** Sy woorde is gladder as botter,^l

maar daar is konflik in sy hart.

Sy woorde is sagter as olie, maar hulle is swaarde wat reg is om te steek.^m

- 22** Gee jou las vir Jehovah,ⁿ en hy sal jou ondersteun.^o

55:15 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.
55:18 *Lett. "verlos". 55:20 *D.w.s. die voormalige vriend wat in vs. 13 en 14 genoem word.

Hy sal die regverdige nooit laat val* nie.^a

23 Maar u, o God, sal hulle in die diepste put laat afgaan.^b

Daardie bloedskuldiges en bedrieglike mense sal nie die helfte van hulle dae uitleef nie.^c

Maar wat my betref, ek sal op u vertrou.

Vir die musiekleier: Op die wysie van "Die stille duif in die verte". Van Dawid. Miktam.* Toe die Filistyne hom in Gat gevange geneem het.^d

56 Wees genadig teenoor my, o God, want die sterflike mens val my aan.*

Die hele dag lank veg hulle teen my en onderdruk hulle my.

2 Die hele dag lank val my vyande my aan.

Baie mense veg vol self-vertroue teen my.

3 Wanneer ek bang is,^e stel ek my vertroue in u.^f

4 In God – wie se woord ek loof – in God stel ek my vertroue, en ek is nie bang nie.

Wat kan 'n mens* aan my doen?^g

5 Die hele dag lank maak hulle moeilikheid vir my.

Al waaraan hulle dink, is om my kwaad aan te doen.^h

6 Hulle kruip weg sodat hulle my kan aanval.

Hulle hou al my voetstappe dopⁱ

in die hoop om my dood te maak.^j

7 Verwerp hulle as gevolg van hulle goddeloosheid.

Verslaan die nasies in u woede, o God.^k

55:22 *Of "wankel". 56:Ops; 57:Ops *Sien Woordelys. 56:1 *Of "hap na my". 56:4 *Lett. "vlees".

HFST. 55

a Ps 37:23, 24

Ps 62:2

Ps 121:3

b Ps 55:15

c Ps 5:6

Spr 10:27

HFST. 56

d 1Sa 21:10

e 1Sa 21:12

f Ps 18:2

g Ps 27:1

Ps 56:10, 11

Ro 8:31

Heb 13:6

h Jer 18:18

i Lu 20:20

j Ps 59:3

Ps 71:10

k Jer 18:23

Tweede kol.

a 1Sa 27:1

b Ps 39:12

c Mal 3:16

d Ps 18:40

e Ro 8:31

f Ps 27:1

g Ps 56:4

Jes 51:7, 12

h Nu 30:2

Pr 5:4

i Ps 50:23

j 2Kor 1:10

k Ps 94:18

Ps 116:8

l Job 33:29, 30

HFST. 57

m 1Sa 22:1

1Sa 24:3

Ps 142:Ops

n Ps 18:2

o Rut 2:12

Ps 17:8

p Ps 144:7

Han 12:11

8 U hou rekord van hoe ek swaarkry as 'n vlugteling.^a

Bewaar tog my trane in u leersak.^b

Is hulle nie in u boek opgeteken nie?^c

9 My vyande sal terugtrek op die dag dat ek om hulp roep.^d

Ek is vol vertroue dat God aan my kant is.^e

10 In God – wie se woord ek loof – in Jehovah – wie se woord ek loof –

11 in God stel ek my vertroue, en ek is nie bang nie.^f

Wat kan 'n mens aan my doen?^g

12 Ek is gebind deur my geloftes aan u, o God.^h

Ek sal woorde van dank aan u offer.ⁱ

13 Want u het my van die dood gered^j en gekeer dat my voete struikel,^k sodat ek voor God in die lig van die lewendes kan loop.^l

Vir die musiekleier:

Op die wysie van "Moenie vernietig nie". Van Dawid. Miktam.* Toe hy vir Saul gevlug het, in die grot in.^m

57 Wees genadig teenoor my, o God, wees genadig teenoor my,

want ek kom soek beskerming by u,ⁿ

en in die skaduwee van u vlerke kom soek ek beskerming totdat die rampspoed verbygegaan het.^o

2 Ek roep tot God, die Allerehoogste,

tot die ware God, wat 'n einde aan hulle maak vir my.

3 Hy sal hulp uit die hemel stuur en my red.^p

Hy sal die een wat my aanval, laat misluk. (*Sela*)

God sal sy lojale liefde en sy getrouheid stuur.^a

- 4** Ek is omring deur leeus.^b
Ek moet gaan lê tussen mense wat my wil verslind.
Hulle tande is spiese en pyle,
en hulle tong is 'n skerp swaard.^c

- 5** Mag u hoog bo die hemel wees, o God.
Mag u heerlijkheid oor die hele aarde wees.^d

- 6** Hulle het 'n net gespan om my voete te verstrik.^e
Ek gaan gebuk onder sorg.^f
Hulle het 'n put voor my gegrawe,
maar hulle het self daarin geval.^g (*Sela*)

- 7** My hart is standvastig, o God,^h
my hart is standvastig.
Ek sal sing en musiek maak.

- 8** Word wakker, o my hele wese.^{*}
Word wakker, o snaarinstrument, en jy ook, o harp.
Ek sal die dagbreek wakker maak.ⁱ

- 9** Ek sal u prys onder die volke, o Jehovah.^j
Ek sal onder die nasies vir u lofliedere sing.^{**k}

- 10** Want u lojale liefde is groot, so hoog soos die hemel,^l en u getrouheid strek tot aan die wolke.

- 11** Mag u hoog bo die hemel wees, o God.
Mag u heerlijkheid oor die hele aarde wees.^m

Vir die musikleier:

Op die wysie van "Moenie vernietig nie". Van Dawid. Miktam.*

- 58** Kan julle van regverdigheid praat wanneer julle stilbly?ⁿ

57:8 *Lett. "my heerlijkheid". 57:9 *Of "musiek maak". 58:Ops *Sien Woordelys.

HFST. 57

a Ps 40:11
Ps 61:7

b Ps 22:13
Ps 35:17

c Ps 52:2
Ps 64:3
Spr 25:18

d Ps 57:11
Ps 108:5

e Ps 35:7

f Ps 42:6

g 1Sa 24:4
Spr 26:27

h Ps 112:7

i Ps 108:2-5

j Ps 9:11
Ps 145:11,12

k Ro 15:9

l Ps 36:5
Ps 103:11

m Ps 8:1
Ps 57:5
Ps 108:5

HFST. 58

n 2Kr 19:6

Tweede kol.

a Ps 82:2

b Pr 3:16
Mi 3:9

c Pr 5:8
Jes 10:1,2

d Ps 140:3
Jak 3:8

e Spr 10:25
Jer 23:19

f Ps 52:5,6
Ps 64:10
Ese 25:17
Op 18:20

g Spr 21:18

Kan julle in geregtigheid oordeel, o mensekinders?^a

- 2** Julle beplan eerder onregverdigheid in julle hart,^b en julle hande versprei geweld in die land.^c

- 3** Die goddeloses slaan van geboorte af* 'n verkeerde weg in.

Hulle het afgedwaal en is leuenaris vandat hulle gebore is.

- 4** Hulle gif is soos die gif van slange.^d

Hulle is doof soos die kobra wat sy oor toestop

- 5** en wat nie na die stem van slangbesweerders luister nie,

ongeag hoe vaardig hulle met hulle towerspreuke is.

- 6** O God, slaan die tande uit hulle mond!

Breek die kakebene van hierdie leeus,* o Jehovah!

- 7** Mag hulle verdwyn soos water wat wegloop.

Mag Hy sy boog span en hulle met sy pyle laat val.

- 8** Mag hulle soos 'n slak wees wat wegsmelt terwyl dit seil.

Soos 'n vrou se doodgebore kind wat nooit die son sien nie.

- 9** Voordat julle kookpotte die hitte van die doringstruik voel,

sal Hy die groen takkie en die brandende takkie wegvee asof in 'n stormwind.^e

- 10** Die regverdige sal bly wees omdat hy die wraak gesien het.^f

Sy voete sal vol van die bloed van die goddeloses wees.^g

58:3 *Lett. "van die baarmoeder af".
58:6 *Of "jong maanhaarleeus".

11 Dan sal mense sê: "Daar is beslis 'n beloning vir die regverdige.^a

Daar is wel 'n God wat op die aarde oordeel."^b

Vir die musiekleier: Op die wysie van "Moenie vernietig nie". Van Dawid. Miktam.* Toe Saul manne gestuur het om Dawid se huis^c dop te hou sodat hulle hom kon doodmaak.^c

59 Red my van my vyande, o my God.^d

Beskerm my teen dié wat teen my opstaan.^e

2 Red my van dié wat goddelose dinge doen, en red my van gewelddadige* manne.

3 Kyk! Hulle lê en wag om my onverwags dood te maak.^f Sterk manne val my aan, maar nie omdat ek opstandig was of gesondig het nie,^g o Jehovah.

4 Hoewel ek niks verkeerds gedoen het nie, hardloop hulle en maak hulle gereed om aan te val.

Staan tog op wanneer ek roep, en kyk.

5 Want u, o Jehovah God van die leërmagte, is die God van Israel.^h

Word tog wakker om u aandag te rig op al die nasies. Moenie genade betoon aan enige goddelose verraaiers nie.ⁱ (*Sela*)

6 Hulle kom elke aand terug.^j Hulle grom* soos honde^k en sluip rond in die stad.^l

7 Kyk wat uit hulle mond uitborrel.

Hulle lippe is soos swaarde,^m

want hulle sê: "Wie luister?"ⁿ

59:Ops *Sien Woordelys. ^aLett. "die huis". 59:2 *Of "bloeddorstige". 59:6, 14 *Of "blaf".

HFST. 58

a Jes 3:10

b Ps 9:16

Ps 98:9

HFST. 59

c 1Sa 19:11

d 1Sa 19:12

Ps 18:48

Ps 71:4

e Ps 12:5

Ps 91:14

f 1Sa 19:1

Ps 10:9

Ps 71:10

g 1Sa 24:11

1Sa 26:18

Ps 69:4

h De 33:29

i Spr 2:22

j 1Sa 19:11

k Ps 22:16

l Ps 59:14

m Ps 57:4

Ps 64:3

n Ps 10:4, 11

Ps 73:3, 11

Tweede kol.

a Ps 37:12, 13

b Ps 33:10

c Ps 27:1

Ps 46:1

d Ps 9:9

Ps 62:2

e Ps 6:4

f Ps 54:7

g Ge 15:1

De 33:29

Ps 3:3

h Ps 64:8

Spr 12:13

Spr 16:18

i Ps 7:9

j 1Sa 17:46

Ps 9:16

Ps 83:17, 18

k Ps 59:6

l Ps 109:2, 10

m Job 37:23

Ps 21:13

Ps 145:10-12

8 Maar u, o Jehovah, sal vir hulle lag.^a

U sal al die nasies bespot.^b

9 O my Sterkte, ek sal op u bly wag,^c

want God is my veilige skuilplek.^{*d}

10 Die God wat lojale liefde aan my betoon, sal my kom help.^e

God sal my laat sien hoe my vyande val.^f

11 Moet hulle nie doodmaak nie, sodat my volk nie sal vergeet nie.

Laat hulle rondswerf deur u mag.

Verslaan hulle, o Jehovah, ons skild.^g

12 Mag hulle deur hulle trots verstrikk word

weens die sonde van hulle mond, die woord van hulle lippe,^h

weens die vloek en die bedrieglike woorde wat hulle sê.

13 Maak 'n einde aan hulle in u woede.ⁱ

Maak 'n einde aan hulle, sodat hulle nie meer daar is nie.

Laat hulle weet dat God in Jakob en tot aan die einde van die aarde regeer.^j (*Sela*)

14 Laat hulle in die aand terugkom.

Laat hulle soos honde grom* en in die stad rondsluip.^k

15 Laat hulle rondwaal op soek na iets om te eet.^l

Laat hulle nie versadig word of blyplek vind nie.

16 Maar ek sal van u krag sing.^m

In die oggend sal ek met vreugde van u lojale liefde vertel.

59:9 *Of "veilige hoogte".

Want u is my veilige skuilplek^a
en 'n plek waarheen ek kan
vlug in moeilike tye.^b

- 17** O my Sterkte, ek sal vir u
lofliedere sing,^{*c}
want God is my veilige skuil-
plek, die God wat lojale
liefde aan my betoon.^d

Vir die musiekleier: Op die wysie van
"Die lirie van herinnering". Miktam.*
Van Dawid. Om te onderrig. Toe hy
teen A'ram-Nahara'im en A'ram-Soba
geveg het, en toe Joab teruggekeer
het en 12 000 Edomiete in die
Soutvallei doodgemaak het.^e

- 60** O God, u het ons ver-
werp. U het deur ons
verdediging gebreek.^f
U was kwaad vir ons, maar
aanvaar ons nou tog terug!

- 2** U het die aarde laat bewe.
U het dit oopgeklouf.
Maak sy skeure reg, want dit
stort ineen.

- 3** U het u volk laat ly.
U het ons wyn laat drink
wat ons laat slinger.^g

- 4** Gee 'n teken* aan dié wat
u vrees
om te vlug en voor die boog
pad te gee. (*Sela*)

- 5** Red ons met u regterhand
en antwoord ons
sodat u geliefdes gered
kan word.^h

- 6** God het in sy heiligheid*
gesê:
"Ek sal van vreugde uitroep,
ek sal Sigem as 'n erfdeel
gee,ⁱ

en ek sal die Vallei van
Sukkot afmeete.^j

- 7** Gi'lead behoort aan my, en
Manas'se^k ook,
en E'fraim is die helm* vir
my kop.

59:17 *Of "musiek maak". **60:0ps**
*Sien Woordelys. **60:4** *Of moont-
lik "U het 'n teken gegee". **60:6** *Of
moontlik "in sy heilige plek". **60:7**
*Lett. "vesting".

HFST. 59

a 1Sa 17:37

Ps 61:3

b Spr 18:10

c Jes 12:2

d Ps 59:10

HFST. 60

e 2Sa 8:13

1Kr 18:3

f Ps 60:10

g Jes 51:17

h Ps 18:35

Ps 21:8

Ps 108:6

Ps 118:15

Jes 41:10

i Ge 12:6,7

j Jos 13:27,28

Ps 108:7-9

k Jos 13:29-31

Tweede kol.

a Ge 49:10

b Nu 24:17

2Sa 8:2

c Nu 24:18

2Sa 8:14

d 2Sa 8:1

e 2Sa 8:14

Ps 108:10-13

f De 1:42

De 20:4

Jos 7:12

g Ps 62:9

Ps 118:8

Ps 146:3

h Ps 18:32

i 2Sa 10:12

Ps 44:5

HFST. 61

j Ps 5:2

Ps 17:1

Ps 28:2

Ps 55:1

k Jon 2:2

l Ps 27:5

Ps 40:2

m 1Sa 17:45

Ps 18:2

Spr 18:10

n Ps 23:6

Ps 27:4

o Ps 63:7

p Ps 115:13

Juda is vir my die staf van
'n bevelvoerder.^a

- 8** Moab is my wasbak.^b
Op Edom sal ek my sandaal
gooi.^c

Ek sal van vreugde uitroep
weens die oorwinning
oor Filiste'a.^d

- 9** Wie sal my bring na die stad
wat omsingel is?*

Wie sal my tot by Edom lei?*

- 10** Is dit nie u, o God, deur wie
ons verwerp is nie,
ons God, wat nie meer saam
met ons leërmagte uitgaan
nie?*

- 11** Help ons in moeilike tye,
want redding deur mense is
waardeloos.^g

- 12** Deur God sal ons krag kry,^h
en hy sal ons vyande ver-
trap.ⁱ

Vir die musiekleier:
Moet met snaarinstrumente
begelei word. Van Dawid.

- 61** Hoor my geroep om hulp,
o God.

Skenk tog aandag aan
my gebed.^j

- 2** Van die eindes van die aarde
af sal ek tot u roep
wanneer my hart alle moed
verloor het.^{*k}

Lei my tot op 'n rots wat
hoër is as ek.^l

- 3** Want u is my skuilplek,
'n sterk toring wat my teen
die vyand beskerm.^m

- 4** Ek sal vir ewig 'n gas in u
tent wees.ⁿ

Ek sal in die skuilplek van
u vlerke beskerming kom
soek.^o (*Sela*)

- 5** Want u, o God, het my
geloftes gehoor.

U het aan my die erfdeel ge-
gee wat behoort aan dié
wat u naam vrees.^p

- 60:9** *Of moontlik "versterkte stad".
61:2 *Of "swak word".

- 6 U sal dae by die lewe* van die koning voeg,^a en sy jare sal van geslag tot geslag wees.
- 7 Hy sal vir ewig op die troon sit* voor God.^b Laat u lojale liefde en getrouheid hom beskerm.^c
- 8 Dan sal ek vir ewig liedere sing* om u naam te loof^d terwyl ek dag ná dag my geloftes betaal.^e

Vir die musiekleier: Van Jedu'tun.*
'n Melodie van Dawid.

- 62** Ek wag in stilte op God. My redding kom van hom.^f
- 2 Hy is my rots en my redding, my veilige skuilplek.*^g Ek sal altyd standvastig wees.^h
- 3 Hoe lank sal julle 'n man aanval om hom te vermoor?ⁱ Julle almal is so gevaarlik soos 'n muur wat skuins staan, 'n klipmuur wat gaan omval.*
- 4 Hulle bespreek hoe hulle hom uit sy hoë posisie* kan stoot. Hulle geniet dit om te lieg. Hulle seën met hulle mond, maar in hulle binneste spreek hulle 'n vloek uit.^j (Sela)
- 5 Ek wag in stilte op God,^k want my hoop kom van hom.^l
- 6 Hy is my rots en my redding, my veilige skuilplek.

61:6 *Lett. "dae". 61:7 *Of "vir ewig woon". 61:8 *Of "musiek maak". 62:Ops *Sien Woordelys. 62:2 *Of "veilige hoogte". #Of "nooit erg geskud word nie". 62:3 *Of moontlik "Julle almal, asof hy 'n muur is wat skuins staan, 'n klipmuur wat gaan omval". 62:4 *Of "sy waardigheid".

HFST. 61

- a Ps 18:50
Ps 21:1, 4
b 2Sa 7:16, 17
Ps 41:12
c Ps 40:11
Ps 143:12
Spr 20:28
d Ps 146:2
e Ps 65:1
Ps 66:13
Pr 5:4

HFST. 62

- f Ps 37:39
Ps 68:19
Jes 12:2
g Ps 18:2
h Ps 37:23, 24
2Kor 4:8, 9
i Ps 38:12
j Ps 5:9
Ps 28:3
Ps 55:21
k Ps 43:5
Mi 7:7
l Ps 62:1, 2
Ps 71:5

Tweede kol.

- a Ps 16:8
Spr 10:30
b Ps 95:1
Jes 26:4
c 1Sa 1:15
d Spr 14:26
e Ps 60:11
f Jes 40:15
g De 6:10-12
Job 31:24, 28
Spr 11:4, 28
Spr 23:4, 5
Mt 6:19, 24
Mr 8:36
Lu 12:15
ITi 6:17
IJo 2:16
h Job 9:4
Na 1:3
Op 19:1
i Ps 36:7
Ps 86:15
Mi 7:18
j Job 34:11
Spr 24:12
Ro 2:6
2Kor 5:10
Ga 6:7
2Ti 4:14
Op 20:12, 13
Op 22:12

HFST. 63

- k 1Sa 23:14
l Jes 26:9
m Ps 42:2
n Ps 63:Ops
Ps 143:6
o 1Kr 16:28
Ps 96:6
p Ps 30:5
Ps 100:5

Ek sal altyd standvastig wees.^a

- 7 My redding en my heerlikheid hang van God af. God is my sterk rots, my skuilplek.^b
- 8 Vertrou te alle tye op hom, o volk. Stort julle hart voor hom uit.^c God is vir ons 'n skuilplek.^d (Sela)
- 9 Mense is maar net soos asem. Die mensekinders is onbetroubaar en bedrieglik.^e Wanneer hulle saam op die weegskaal gesit word, is hulle ligter as asem.^f
- 10 Moenie op afpersing staatmaak of dink dat julle suksesvol sal wees deur ander te beroof nie. As julle rykdom vermeerder, moet julle nie julle hart daarop sit nie.^g
- 11 Een keer het God gepraat, ja, twee keer het ek dit gehoor: Krag behoort aan God.^h
- 12 Lojale liefde behoort ook aan u, o Jehovah,ⁱ want u beloon elkeen volgens sy dade.^j
- 'n Melodie van Dawid, toe hy in die wildernis van Juda was.^k
- 63** O God, u is my God, ek bly soek na u.^l Ek dors na u.^m Ek* is flou van verlange na u in 'n droë en dorre land, waar daar geen water is nie.ⁿ
- 2 Ek het u in die heiligdom gesien. Ek het u krag en u heerlikheid gesien.^o
- 3 U lojale liefde is beter as die lewe.^p

63:1 *Lett. "My vlees".

Daarom sal my lippe u
verheerlik.^a

- 4** So sal ek u lewenslank loof.
In u naam sal ek my hande
oplig.
- 5** Ek word versadig met die
beste en die rykste deel,*
en daarom sal my mond u
loof met vreugde op my
lippe.^b
- 6** Ek dink aan u terwyl ek
op my bed is.
Ek peins gedurende die nag*
oor u.^c
- 7** Want u is my helper,^d
en ek roep uit van vreugde
in die skaduwee van u
vlerke.^e
- 8** Ek klou vas aan u.
U regterhand hou my
stewig vas.^f
- 9** Maar dié wat my wil
doodmaak,
sal in die diepste dele van
die aarde afgaan.
- 10** Hulle sal aan die mag van
die swaard oorgelewer
word.
Hulle sal kos vir die jakkalse
word.
- 11** Maar die koning sal bly
wees as gevolg van God.
Elkeen wat by Hom sweer,
sal van vreugde uitroep,*
want die mond van die
leuenaars sal stilgemaak
word.
- Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.
- 64** Hoor my stem, o God,
terwyl ek smeek.^g
Beskerm my lewe teen die
bedreiging van die vyand.
- 2** Beskerm my teen die gehei-
me planne van goddelose
manne,^h
teen die groot groep
oortreders.

63:5 *Lett. "asof met vet en vettig-
heid". **63:6** *Lett. "nagwake". **63:11;**
64:10 *Of "sal spog".

HFST. 63

a Ps 66:16, 17

b Ps 71:23
Ps 135:3

c Ps 119:55, 148

d 1Sa 17:37

e Ps 5:11
Ps 57:1
Ps 61:4

f Jes 41:10

HFST. 64

g Ps 55:1

h Ps 56:6
Ps 109:2

Tweede kol.

a Ps 10:4, 11
Ps 59:7

b Ps 140:5

c Ps 7:11, 12

d Spr 12:13
Spr 18:7

e Ps 107:40, 43

f Ps 58:10
Ps 68:2, 3

HFST. 65

g Ps 76:2

h Ps 116:18
Pr 5:4

i Ps 145:18
Han 10:31
1Jo 5:14

3 Hulle maak hulle tong skerp
net soos 'n swaard.

Hulle rig hulle wrede
woorde soos pyle,

4 om uit hulle skuilplekke op
die onskuldige te skiet.

Hulle skiet skielik op hom,
sonder om bang te wees.

5 Hulle hou vas aan hulle
slegte bedoelings.*

Hulle bespreek hoe om hulle
strikke te stel.

Hulle sê: "Wie sal dit sien?"^a

6 Hulle soek na nuwe maniere
om verkeerde dinge te
doen.

In die geheim dink hulle hul-
le slinkse strategie uit.^b

Die gedagtes van hulle hart
is 'n groot raaisel.

7 Maar God sal op hulle skiet.^c
Skielik sal hulle deur 'n pyl
gewond word.

8 Hulle eie tong sal hulle on-
dergang veroorsaak.^d

Almal wat toekyk, sal hulle
kop skud.

9 Dan sal alle mense bang
word,

en hulle sal verkondig wat
God gedoen het,

en hulle sal insig in sy
dade hê.^e

10 Die regverdige sal bly wees
as gevolg van Jehovah en
sal beskerming by hom
kom soek.^f

Al die opregtes van hart sal
van vreugde uitroep.*

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid. 'n Lied.

65 U sal in Sion geloof word,
o God.^g

Ons sal ons geloftes aan u
betaal.^h

2 O Hoorder van gebed, alle
soorte mense* sal na u
toe kom.ⁱ

64:5 *Of "Hulle spoor mekaar aan om
goddelose dinge te doen". **65:2** *Lett.
"alle vlees".

- 3** My oortredings het my oorweldig,^a maar u bedek ons oortredings.^b
- 4** Gelukkig is die een wat u kies en laat nader kom om in u voorhowe te woon.^c Ons sal versadig word met die goeie dinge van u huis,^d u heilige tempel.^{*e}
- 5** U sal ons met ontsagwekkende dade^f van regverdigheid antwoord, o God van ons redding. U is die Vertroue van al die eindes van die aarde^g en van dié wat ver oor die see is.
- 6** U* het die berge stewig gevestig met u krag. U* is geklee met mag.^h
- 7** U* kalmeer die onstuimige seë,ⁱ die gedruis van hulle golwe en die oproerigheid van die nasies.^j
- 8** U dade* vervul die inwoners van afgeleë plekke met ontsag.^k Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, laat u mense van vreugde uitroep.
- 9** U sorg vir die aarde, en u maak dit baie vrugbaar en ryk.^{*l} Die stroom wat van God kom, is vol water. U voorsien graan vir hulle,^m want dit is hoe u die aarde voorberei het.
- 10** U maak sy vore vol water, en sy geploegde grond gelyk. U maak dit sag met reënbuie. U seën sy opbrengs.ⁿ

65:4 *Of "heiligheid". 65:6, 7 *Lett. "Hy". 65:8 *Lett. "tekens". 65:9 *Lett. "laat dit oorloop en verryk dit grootliks".

HFST. 65

- a Ps 40:12
Ro 7:23, 24
Ga 5:17
- b Ps 51:2
Jes 1:18
1Jo 1:7
- c Ps 15:1-5
Ps 27:4
Ps 84:1-4
Ps 84:10
- d Ps 36:7, 8
- e 1Sa 3:3
1Kr 16:1
- f De 10:21
Op 15:3
- g Ps 22:27
- h Ps 93:1
- i Ps 89:9
Ps 107:29
- j Jes 17:12, 13
Jes 57:20
- k Ps 66:3
- l De 11:11, 12
Han 14:17
- m Ps 104:14, 15
- n Ps 147:7, 8

Tweede kol.

- a Ge 27:28
De 33:16
Mal 3:10
- b Jes 35:1
- c Jes 55:12
- d Jes 30:23
- e Han 14:17

HFST. 66

- f Ps 98:4
- g Ps 72:19
Op 4:11
- h Eks 15:16
Ps 76:12
Jes 2:19
Jer 10:10
- i Ps 81:15
- j Ps 22:27
Mal 1:11
- k Jes 42:10
Op 15:4
- l Ps 46:8
Sef 2:11
- m Eks 14:21, 22
- n Jos 3:15, 16
- o Eks 15:1
- p Da 4:34
1Ti 1:17
- q Ps 11:4
Spr 15:3
Heb 4:13
- r Jes 37:29

- 11** U kroon die jaar met u goedheid. U spore drup van oorvloed.^{*a}
- 12** Die weivelde van die wildernis bly oorloop,^b en die heuwels is geklee met vreugde.^c
- 13** Die weivelde is vol kuddes, en die valleie is bedek met vreugde.^d Hulle roep van vreugde uit, ja, hulle sing.^e Vir die musiekleier. 'n Lied. 'n Melodie.
- 66** Loof God en roep van vreugde uit, almal op aarde.^f
- 2** Sing liedere* om sy glorie-ryke naam te loof. Gee hom heerlikheid en prys hom.^g
- 3** Sê vir God: "Hoe ontsagwekkend is u werke tog!^h As gevolg van u groot krag sal u vyande voor u kruip.ⁱ
- 4** Die hele aarde sal voor u neerbuig.^j Hulle sal lofliedere vir u sing. Hulle sal liedere sing om u naam te loof."^k (*Sela*)
- 5** Kom en sien die werke van God. Sy dade vir die mensekinders is ontsagwekkend.^l
- 6** Hy het die see in droë land verander.^m Hulle het te voet deur die rivier gegaan.ⁿ Daar was ons bly as gevolg van hom.^o
- 7** Hy regeer vir ewig^p deur sy mag. Hy hou sy oog op die nasies.^q Dié wat hardkoppig is, moenie op ander neersien nie."^r (*Sela*)
- 65:11 *Lett. "vettigheid". 66:2 *Of "Maak musiek".

- 8 Loof ons God, o volke,^a
en laat die geluid van sy lof
gehoor word.
- 9 Hy bewaar ons lewe.^b
Hy laat nie toe dat ons voete
struikel* nie.^c
- 10 Want u het ons ondersoek,
o God.^d
Soos silwer gesuiwer word,
so het u ons gesuiwer.
- 11 U het ons in 'n vangnet
laat beland.
U het 'n swaar las op ons*
geplaas.
- 12 U het toegelaat dat die sterf-
like mens oor ons* ry.
Ons het deur vuur en deur
water gekom.
Toe het u ons na 'n plek van
verligting gebring.
- 13 Ek sal met heelbrandoffers
in u huis ingaan.^e
Ek sal my geloftes aan u
betaal^f
- 14 wat my lippe belowe het^g
en wat my mond gesê het
toe ek in groot moeilik-
heid was.
- 15 Ek sal vetgemaakte diere
as heelbrandoffers aan
u bring,
saam met die rook van
skaapramme wat geoffer
word.
Ek sal bulle saam met bok-
ramme offer. (*Sela*)
- 16 Kom luister, julle almal wat
God vrees,
en ek sal julle vertel wat hy
vir my gedoen het.^h
- 17 Ek het tot hom geroep met
my mond
en hom verheerlik met
my tong.
- 18 As ek iets skadeliks in my
hart gekoester het,
sou Jehovah nie na my
geluister het nie.ⁱ

66:9 *Of "wankel". 66:11 *Lett. "ons
heupe". 66:12 *Lett. "ons kop".

HFST. 66

- a De 32:43
Ro 15:10
- b 1Sa 25:29
- c 1Sa 2:9
Ps 121:3
- d De 8:2
- e Nu 15:3
- f Ps 56:12
Ps 116:14
Pr 5:4, 5
- g Nu 30:2
Rig 11:35
- h Ps 22:24
- i Job 27:8, 9
Spr 15:29
Spr 28:9
Jes 1:15
Joh 9:31

Tweede kol.

- a Ps 34:6
Ps 65:2
Ps 116:1
1Jo 3:22
- b Heb 5:7

HFST. 67

- c Nu 6:25
Spr 16:15
- d Ro 10:18
Kol 1:23
- e Ps 98:2
Jes 49:6
Lu 2:30, 31
Han 28:28
Tit 2:11
- f Jes 42:10
- g Ps 9:8
Ps 96:10
Ps 98:9
Ro 2:5
- h Le 26:4
Ps 85:12
Jes 30:23
Ese 34:27
- i Ge 17:7
- j Ps 22:27
Op 15:4

HFST. 68

- k Nu 10:35
Ps 21:8
- l Na 1:6
- m Ps 32:11

- 19 Maar God het wel gehoor.^a
Hy het aandag geskenk aan
my gebed.^b
- 20 Mag God geloof word, wat
my gebed nie verwerp
het nie
en sy lojale liefde nie van my
teruggehou het nie.

Vir die musiekleier: Moet met
snaarinstrumente begelei word.
'n Melodie. 'n Lied.

- 67 God sal ons sy goedkeu-
ring gee en ons seën.
Hy sal goedheid aan ons
betoon^c (*Sela*)
- 2 sodat u weg regoor die aar-
de bekend kan wees,^d
u reddingsdade onder al
die nasies.^e
- 3 Laat volke u prys, o God.
Laat al die volke u prys.
- 4 Laat die nasies bly wees en
van vreugde uitroep,^f
want u sal die volke regver-
dig oordeel.^g
U sal die nasies van die
aarde rig. (*Sela*)
- 5 Laat volke u prys, o God.
Laat al die volke u prys.
- 6 Die aarde sal sy opbrengs
lewer.^h
God, ons God, sal ons seën.ⁱ
- 7 God sal ons seën,
en al die eindes van die
aarde sal hom vrees.^j
Vir die musiekleier. Van Dawid.
'n Melodie. 'n Lied.
- 68 Laat God opstaan, laat sy
vyande verstrooi word,
en laat dié wat hom haat,
van hom af wegvlug.^k
- 2 Mag u hulle verdryf soos
rook wat weggewaai word.
Laat die goddeloses voor
God verdwyn^l
soos was wat voor die vuur
smelt.
- 3 Maar laat die regverdiges
vreugdevol wees.^m

67:7 *Of "eer".

Mag hulle baie bly wees
voor God.

Mag hulle van vreugde
uitroep.

- 4 Sing vir God, sing liedere*
om sy naam te loof.^a
Sing vir die Een wat deur
die woestynvlaktes[#] ry.
Jah^Δ is sy naam!^b Wees
vreugdevol voor hom!
- 5 'n Vader van vaderlose
kinders en 'n beskermers*
van weduwees^c
is God in sy heilige
woonplek.^d
- 6 God gee dié wat alleen is,
'n huis om in te woon.^e
Hy lei gevangenes uit na
voorspoed.^f
Maar die hardkoppiges*
moet in 'n dorre land
woon.^g
- 7 O God, toe u u volk gelei
het,^{*h}
toe u deur die woestyn
getrek het, (*Sela*)
- 8 het die aarde gebewe.ⁱ
Reën het uit die hemel ge-
stort* as gevolg van God.
Hierdie Si'nai het gebewe as
gevolg van God, die God
van Israel.^j
- 9 U het baie reën laat val,
o God.
U het nuwe krag gegee aan
u uitgeputte volk.*
- 10 Hulle het in u tontgemeen-
skap gewoon.^k
In u goedheid het u vir die
armes gesorg, o God.
- 11 Jehovah gee die bevel.
Die vrouens wat die goeie
nuus verkondig, is 'n groot
leërmag.^l

68:4 *Of "maak musiek". #Of moontlik "op die wolke". Δ"Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 68:5 *Lett. "regter". 68:6 *Of "opstandiges". 68:7 *Lett. "voor u volk uitgegaan het". 68:8 *Lett. "Die hemel het gedrup". 68:9 *Lett. "erfdeel".

HFST. 68

a Jes 12:4

b Eks 6:3

c Eks 22:22-24
De 10:17, 18
Ps 10:14
Ps 146:9

d Jes 57:15

e Ps 113:9

f Jes 61:1

g De 28:15, 23
Ps 107:33, 34

h Eks 13:21

i Ps 114:1, 4
Heb 12:26

j Eks 19:18
Rig 5:4, 5

k Nu 10:34

l Eks 15:20
Rig 5:1
Rig 11:34
1Sa 18:6

Tweede kol.

a Nu 31:25-27
Jos 10:12, 16
Jos 12:7
Rig 5:19

b Nu 31:27
1Sa 30:23-25

c Nu 21:3
Jos 10:5, 10

d Nu 21:33
De 3:8, 10

e 1Kr 11:5
Ps 48:2, 3
Ps 132:13

f De 12:5, 6
1Kn 9:3
Heb 12:22

g 2Kn 6:16, 17
Mt 26:53

h Eks 19:23
De 33:2

i 2Sa 5:7

j Ef 4:8, 11

k De 2:36
De 7:22

l Ps 55:22
1Pe 5:6, 7

m Jes 12:2
Jes 45:17

- 12 Die konings van leërmagte
vlug,^a hulle vlug!
Die vrou wat by die huis bly,
ontvang 'n deel van wat
die vegters geneem het.^b
- 13 Al het julle tussen die kamp-
vure* gelê, o manne,
sal daar die vlerke van 'n
duif wees wat met silwer
oorgetrek is,
met vlerkpunte van suiwer[#]
goud.
- 14 Toe die Almagtige die
konings in die land
verstrooi het,^c
het dit op Salmon gesneeu.*
- 15 Die berg Basan^d is 'n berg
van God.*
Die berg Basan is 'n berg
met pieke.
- 16 Hoekom kyk julle, o berge
met pieke,
jaloers na die berg wat God
as sy woonplek uitgekies*
het?^e
Ja, Jehovah sal vir ewig
daar woon.^f
- 17 God het tienduisende stryd-
waens, duisende en nog
duisende.^g
Jehovah het van Si'nai af in
die heiligdom ingekom.^h
- 18 U het na bo opgevaar,ⁱ
en u het gevangenes weg-
geneem.
U het gawes in die vorm van
mense geneem,^j
ja, selfs hardkoppiges,^k
om onder hulle te woon,
o Jah God.
- 19 Mag Jehovah geloof word,
wat elke dag ons vra dra,^l
die ware God van ons red-
ding. (*Sela*)
- 20 Die ware God is vir ons
'n God wat red,^m

68:13 *Of moontlik "die skaapkrale". #Of "geelgroen". 68:14 *Of "was dit asof dit op Salmon gesneeu het". 68:15 *Of "'n indrukwekkende berg". 68:16 *Of "begeer".

en Jehovah die Soewereine Heer kan 'n mens van die dood red.^a

21 Ja, God sal die kop van sy vyande stukke breek, die harige kroon van die kop van enigiemand wat aanhou sondig.^{*b}

22 Jehovah het gesê: "Ek sal hulle uit Basan^c terugbring.

Ek sal hulle uit die dieptes van die see terugbring,

23 sodat die bloed van julle vyande oor julle voete kan spoel^d

en die tong van julle honde dit kan oplek."

24 Hulle sien u optogte, o God, die optogte van my God, my Koning, na die heiligdom.^e

25 Die sangers loop voor, en die musikante met die snaarinstrumente volg hulle.^f

Tussenin is die jong vroue wat op tamboeryne speel.^g

26 Loof God onder die skare wat bymekaargekom het.* Prys Jehovah, julle wat uit die Bron van Israel is.^h

27 Daar is Benjamin,ⁱ die jongste, wat hulle onderwerp, en ook die leiers van Juda met hulle juigende skare, die leiers van Se'bulon, die leiers van Naf'tali.

28 Julle God het beveel dat julle krag ontvang.

Toon u krag, o God, u wat vir ons opgetree het.^j

29 As gevolg van u tempel in Jerusalem^k sal konings geskenke aan u bring.^l

30 Bestraf die wilde diere van die riete, die hordes bulle^m en hulle kalwers,

HFST. 68

a De 32:39

b Ps 55:23
Ese 18:26

c Nu 21:33

d Ps 58:10

e 1Kr 15:25, 28
Ps 24:7

f 1Kr 15:16
Ps 87:7
Ps 150:3

g Rig 11:34
1Sa 18:6

h Ps 95:6
Jes 44:2

i Ge 49:27
1Sa 9:21

j Ps 138:8

k 1Kn 6:1
1Kr 16:1
Esr 5:14

l 1Kn 10:10
2Kr 32:23
Ps 72:10

m Ese 39:18

Tweede kol.

a Jes 45:14
Jes 60:5

b De 32:43

c Ps 104:3

d Ps 96:7

e Ps 47:2
Ps 66:5

f Ps 29:11
Jes 40:29-31

HFST. 69

g Ps 144:7
Klg 3:54
Jon 2:5

h Ps 40:2

i Ps 32:6
Jon 2:3

j Ps 22:2

k Ps 119:82
Ps 119:123
Jes 38:14

l Lu 23:22
Joh 15:24, 25

totdat die volke neerbuig en silwerstukke bring.*

Maar hy verstrooi die volke wat dit geniet om oorlog te voer.

31 Voorwerpe van brons sal uit Egipte gebring word.*^a

Kus sal haastig wees om geskenke vir God aan te bied.

32 O koninkryke van die aarde, sing vir God,^b sing lofliedere* vir Jehovah, (Sela)

33 vir die Een wat op die oeroue hemel ry, die hoogste hemel.^c

Kyk! Sy stem dreun soos die donder, sy magtige stem.

34 Erken God se krag.^d Sy majesteit is oor Israel, en sy krag is in die hemel.*

35 God is ontsagwekkend vanuit sy* groot heiligdom.^e Hy is die God van Israel, wat krag en mag aan die volk gee.^f

Mag God geloof word.

Vir die musiekleier: Op die wysie van "Die liesies". Van Dawid.

69 Red my, o God, want die water bedreig my lewe.^g

2 Ek het in die diep modder weggesink, met geen vaste grond onder my nie.^h

Ek het in diep water beland, en die kragtige stroom het my weggespoel.ⁱ

3 Ek is uitgeput van my geroep,^j en my keel het hees geword. My oë het moeg geword terwyl ek op my God gewag het.^k

4 Dié wat my sonder rede haat,^l

68:30 *Of moontlik "vertrap". **68:31** *Of moontlik "Ambassadeurs sal uit Egipte kom". **68:32** *Of "maak musiek". **68:34** *Lett. "wolke". **68:35** *Lett. "u".

68:21 *Lett. "wat rondloop in sy skuld".
68:26 *Lett. "in byeenkomste".

is meer as die hare op my kop.

Dié wat my wil doodmaak, my bedrieglike vyande,* het baie geword.

Ek is gedwing om dinge te oorhandig wat ek nie gesteel het nie.

5 O God, u weet dat ek dwaas opgetree het, en my skuld is nie vir u weggesteek nie.

6 Mag dié wat op u hoop, nie as gevolg van my in die skande gestee word nie, o Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte.

Mag dié wat u dien,* nie as gevolg van my verneder word nie, o God van Israel.

7 Ek word beledig ter wille van u.^a

Skande bedek my gesig.^b

8 Ek het vir my broers 'n vreemdeling geword, 'n uitlander vir die seuns van my moeder.^c

9 Ywer vir u huis het my verteer,^d en die beledigings van dié wat u beledig, het op my neergekom.^e

10 Toe ek my verneder het deur te vas,* is ek beledig daarvoor.

11 Toe ek saklinne aangetrek het, het ek vir hulle 'n bespottig* geword.

12 In die stadspoort word daar van my gepraat, en die dronkaards sing liedjies oor my.

13 Maar mag my gebed u bereik,

HFST. 69

a Ps 22:6
Jer 15:15

b Jes 50:6
Mt 26:67
Mt 27:29

c Job 19:13
Ps 31:11
Joh 1:11
Joh 7:5

d 1Kn 19:10
Ps 119:139
Mt 21:12, 13
Mr 11:15-17
Joh 2:13-17

e Ro 15:3

Tweede kol.

a Jes 49:8
Heb 5:7

b Ps 68:20

c Ps 144:7

d Ps 69:2

e Ps 16:10

f Ps 63:3
Ps 109:21

g Ps 25:16

h Ps 27:9
Ps 102:2

i Ps 31:9
Ps 40:13

j Ps 22:6

k Ps 142:4

l Job 19:14

m Mt 27:34
Mr 15:23

n Mt 27:48
Mr 15:36
Lu 23:36
Joh 19:29

o Jehovah, op u bestemde tyd.^a

U is vol lojale liefde, o God, antwoord my met u reddingsdade, wat betroubaar is.^b

14 Red my uit die modder.

Moet my nie laat wegsink nie.

Red my van dié wat my haat en uit die diep waters.^c

15 Moenie toelaat dat die kragtige vloedwaters my wegspoel^d

of dat die diepte my insluk of dat die put sy mond oor my toemaak nie.^e

16 Antwoord my, o Jehovah, want u lojale liefde is goed.^f

Skenk aandag aan my in ooreenstemming met u groot genade,^g

17 en moenie u gesig van u kneg af wegdraai nie.^h Antwoord my gou, want ek is in groot moeilikheid.ⁱ

18 Kom na my toe en red my. Verlos my van my vyande.

19 U is bewus van die beledigings, die skande en die vernedering wat ek verdur.^j

U sien al my vyande.

20 Die beledigings het my hart gebreek, en die wond is ongeneeslik.*

Ek het gehoop om simpatie te kry, maar daar was niks nie,^k

en dat iemand my sal vertroos, maar daar was niemand nie.^l

21 Maar hulle het vir my gif* as voedsel gegee,^m en toe ek dors was, het hulle my asyn laat drink.ⁿ

69:4 *Of "vyande sonder rede". **69:6** *Lett. "soek". **69:10** *Of moontlik "Toe ek gehuil en gevas het". **69:11** *Lett. "'n spreekwoord".

69:20 *Of "en ek is op die punt om hoop te verloor". **69:21** *Of "'n giftige plant".

- 22 Laat hulle tafel vir hulle 'n strik word, en hulle voorspoed 'n vangnet.^a
- 23 Laat hulle oë blind word so dat hulle nie kan sien nie, en laat hulle heupe heeltyd bewe.
- 24 Stort u woede* oor hulle uit, en laat u brandende woede hulle inhaal.^b
- 25 Laat hulle kamp* verlate word.
Laat daar geen inwoner in hulle tente wees nie.^c
- 26 Want hulle sit die een agterna wat deur u geslaan is, en hulle bly vertel van die pyne van dié wat deur u gewond is.
- 27 Voeg nog skuld by hulle skuld, en mag hulle geen deel aan u regverdigheid hê nie.
- 28 Laat hulle uit die boek van die lewendes* uitgewis word,^d en mag hulle nie saam met die regverdiges ingeskryf word nie.^e
- 29 Maar ek kry swaar en ek is in pyn.^f
Mag u reddingskrag my beskerm, o God.
- 30 Ek sal liedere sing om die naam van God te loof, en ek sal hom met danksegging verheerlik.
- 31 Jehovah sal dit verkies bo bulle, bo jong bulle met horings en hoewe.^g
- 32 Die nederiges sal dit sien en sal bly wees.
Julle wat God dien,* mag julle hart nuwe krag kry.

69:24 *Of "verontwaardiging". 69:25 *Of "ommuurde kamp". 69:28 *Of "boek van die lewe". 69:32; 70:4 *Lett. "soek".

HFST. 69

a Ro 11:9,10

b Ps 21:9

c Han 1:20

d Eks 32:33

e Flp 4:3
Op 3:5
Op 13:8

f Ps 109:22

g Ps 50:13-15
Ho 14:2

Tweede kol.

a Ps 10:17
Ps 102:17
Jes 66:2

b Ps 146:7
Jes 61:1
Lu 4:18

c Ps 96:11
Jes 49:13

d Ps 51:18

e Jes 61:9
Jes 66:22

f Ps 91:14
Jak 1:12

HFST. 70

g Ps 40:13-17

h Ps 5:11
Klg 3:25

i Ps 109:22

j Ps 141:1

k Ps 18:2

l Ps 13:3

HFST. 71

m Ps 25:2
Ps 31:1-3
Jes 45:17
Jer 17:18

- 33 Want Jehovah luister na die armes,^a en hy sal sy gevange volk nie verwerp nie.^b
- 34 Laat hemel en aarde hom loof,^c die seë en alles wat daarin beweeg.
- 35 Want God sal Sion red^d en die stede van Juda herbou.
Hulle sal daar woon en dit* besit.
- 36 Die nakomelinge van sy knegte sal dit erf,^e en dié wat sy naam liefhet,^f sal daarin woon.

Vir die musiekleier. Van Dawid, om as 'n herinnering te dien.

70 O God, red my.
O Jehovah, kom tog gou en help my.^g

2 Mag dié wat my wil doodmaak, skaam kry en verneder word.

Mag dié wat bly is oor my rampspoed, in skande terugtrek.

3 Mag dié wat sê: "Aha! Aha!" in skaamte teruggedryf word.

4 Maar laat dié wat u dien,* van vreugde uitroep en bly wees as gevolg van u.^h

Mag almal wat lief is vir u reddingsdade, altyd sê: "Mag God verheerlik word!"

5 Maar ek is hulpeloos en arm.ⁱ

O God, tree tog gou vir my op.^j

U is my helper en my redder.^k

O Jehovah, moenie te lank wag voordat u kom nie.^l

71 By u, o Jehovah, het ek beskerming kom soek.
Mag ek nooit verneder word nie.^m

69:35 *D.w.s. die land.

- 2** Red my en verlos my in u regverdigheid.
Skenk aandag aan* my en red my.^a
- 3** Word vir my 'n rotsvesting waar ek altyd kan ingaan. Beveel dat ek gered word, want u is my groot rots en my vesting.^b
- 4** O my God, red my uit die hand van die goddelose,^c uit die greep van die onregverdige onderdrukker.
- 5** Want u is my hoop, o Soewereine Heer Jehovah. Ek het van jongs af op u vertrou.^d
- 6** Ek het van geboorte af op u staatgemaak.
Dit was u wat my uit die baarmoeder geneem het.^e Ek prys u voortdurend.
- 7** Baie was verstom toe hulle sien wat met my gebeur het, maar u is my veilige skuilplek.
- 8** My mond is vol lof vir u.^f Die hele dag lank vertel ek van u heerlijkheid.
- 9** Moenie my verstoot op my oudag nie.^g
Moenie my verlaat wanneer ek nie meer krag het nie.^h
- 10** My vyande praat teen my, en dié wat my wil doodmaak, beraam planne teen myⁱ
- 11** en sê: "God het hom verlaat. Sit hom agterna en vang hom, want daar is niemand om hom te red nie."^j
- 12** O God, moenie ver van my af bly nie.
O my God, kom gou en help my.^k
- 13** Mag dié wat my teëstaan, verneder word en vernietig word.^l

71:2 *Of "Buig neer en luister na".

HFST. 71

- a Ps 34:15
b 2Sa 22:2, 3
Ps 18:2
Ps 144:2
c Ps 17:8, 9
Ps 59:1
Ps 140:4
Mt 6:13
d 1Sa 17:45
Jer 17:7
e Ps 22:9, 10
Ps 139:16
Jes 46:3
f Ps 51:15
Heb 13:15
g Ps 92:14
h Ps 73:26
Pr 12:3
i 2Sa 17:1, 2
j Ps 3:2
Ps 42:10
Mt 27:42, 43
k Ps 22:11
Ps 35:22
Ps 38:21, 22
l 2Sa 17:23

Tweede kol.

- a Ps 109:29
b Ps 35:28
Ps 40:9
c Ps 40:5
d Ps 71:5
e 2Sa 22:1
1Kr 16:4
Ps 9:1
f Ps 37:25
Ps 71:9
g Eks 13:8
1Kr 29:10, 11
Ps 78:2-4
h Ps 36:6
i Eks 15:11
Ps 86:8
Ps 89:6
Jer 10:7
j 2Sa 12:10, 11
k Ps 40:2
Ps 86:13

- Mag dié wat rampspoed oor my wil bring, met skande en vernedering bedek word.^a
- 14** Maar wat my betref, ek sal bly wag.
Ek sal bydra tot u lof.
- 15** My mond sal u regverdigheid verkondig,^b u reddingsdade, die hele dag lank,
al is dit te veel vir my om te begryp.*^c
- 16** Ek sal van u magtige daade kom vertel,
o Soewereine Heer Jehovah.
Ek sal van niemand anders se regverdigheid praat nie.
- 17** O God, u het my van jongs af geleer,^d en tot nou toe bly ek u wonderlike werke verkondig.^e
- 18** Selfs wanneer ek oud en grys is, o God, moet u my nie verlaat nie.^f
Laat ek die volgende geslag van u krag* vertel,
en laat ek almal wat nog moet kom, van u mag vertel.^g
- 19** U regverdigheid, o God, strek tot by die hoogtes.^h U het groot dinge gedoen. O God, wie is soos u?ⁱ
- 20** U het my soveel moeilike tye en rampspoed laat ondervind,^j maar gee my tog nuwe krag. Laat my opkom uit die dieptes* van die aarde.^k
- 21** Mag u my grootheid vermeerder
en my met u beskerming omring en my vertrous.
- 22** Dan sal ek u met 'n snaarinstrument prys

71:15 *Of "tel". 71:18 *Lett. "arm".
71:20 *Of "waterdieptes".

as gevolg van u getrouheid,
o my God.^a

Ek sal vir u lofliedere sing*
terwyl ek op die harp
speel,
o Heilige van Israel.

23 My lippe sal vreugdevol uit-
roep terwyl ek lofliedere
vir u sing,^b
want u het my lewe gered.^c

24 My tong sal die hele dag
lank van u regverdigheid
praat,^{*d}
want dié wat my wil vernie-
tig, sal skaam kry en ver-
neder word.^e

Oor Salomo.

72 O God, leer die koning u
oordele,
en leer die seun van die kon-
ing u regverdigheid.^f

2 Mag hy die saak van u volk
met regverdigheid verdedig,
en die saak van die hulpe-
loses met geregtigheid.^g

3 Mag die berge vir die volk
vrede bring,
en mag die heuwels regver-
digheid bring.

4 Laat hy die hulpeloses on-
der die volk verdedig,^{*}
laat hy die kinders van die
arme red,
en laat hy die bedrieër
vernietig.^h

5 Hulle sal u vrees solank
daar 'n son is
en solank die maan bestaan,
van geslag tot geslag.ⁱ

6 Hy sal wees soos die reën
wat op die gesnyde gras
val,
soos reënbuie wat die aarde
natmaak.^j

71:22 *Of "musiek maak". 71:24 *Of
"oor u regverdigheid nadink". 72:4
*Lett. "oordeel".

HFST. 71

a Ps 25:10
Ps 108:4
Ps 146:6

b Ps 63:5
Ps 104:33

c 2Sa 4:9
Ps 103:4

d Ps 71:8

e Ps 71:13

HFST. 72

f 1Kr 22:11, 12
1Kr 29:19
Jer 23:5

g 1Kn 3:9, 28

h Jes 11:4

i Ps 89:36, 37
Lu 1:32, 33
Op 11:15

j 2Sa 23:3, 4
Spr 16:15
Spr 19:12

Tweede kol.

a Jes 61:11

b 1Kn 4:25
1Kr 22:9
Jes 2:4
Jes 9:6

c Eks 23:31
1Kn 4:21
Ps 2:8
Ps 22:27, 28
Da 2:35
Sag 9:10

d Ps 2:9
Ps 110:1

e 1Kn 4:21
1Kn 10:1, 2

f 1Kn 10:10

g Jes 30:23

7 Die regverdige sal in sy dae
floreer,^{*a}
en daar sal 'n oorvloed van
vrede wees^b totdat die
maan nie meer daar is nie.

8 Hy sal onderdane hê* van
see tot see
en van die Rivier[#] tot aan
die eindes van die aarde.^c

9 Dié wat in die woestyn
woon, sal voor hom
neerbuig,
en hy sal sy vyande
verslaan.^d

10 Die konings van Tarsis en
van die eilande
en die konings van Skeba
en Seba sal skatting*
betaal.^e

11 Al die konings sal voor hom
neerbuig,
en al die nasies sal hom
dien.

12 Want hy sal die arme red
wat om hulp roep,
en ook enigiemand wat geen
helper het nie.

13 Hy sal jammer voel vir die
hulpelose en die arme,
en hy sal die lewens van die
armes red.

14 Van onderdrukking en van
geweld sal hy hulle red,
en hulle bloed sal kosbaar
wees in sy oë.

15 Mag hy lewe, en mag die
goud van Skeba^f aan hom
gegee word.
Mag daar heelyd vir hom
gebied word,
en mag hy die hele dag lank
geseen word.

16 Daar sal volop graan op die
aarde wees.^g
Op die top van die berge sal
daar 'n oorvloed wees.

72:7 *Lett. "uitspruit". 72:8 *Of "sal
regeer". [#]Die Eufraatrivier. 72:10
*Sien Woordelys.

Sy graan sal so volop wees
soos die bome in die Li'ba-
non-berge,^a
en in die stede sal mense
vermeerder soos die plan-
te van die aarde.^b

- 17 Mag sy naam vir ewig bly
bestaan,^c
en mag dit net so lank
voortleef soos die son.
Mag mense vir hulleself 'n
seën verkry deur middel
van hom.^d

HFST. 72

- a Jes 35:1, 2
b 1Kn 4:20
c Ps 45:17
Ps 89:35, 36
d Ge 22:18
Ga 3:14

Tweede kol.

- a 1Kr 29:10
b Eks 15:11
c Op 5:13
d Nu 14:21
Hab 2:14
e 1Sa 17:58

Mag alle nasies hom
gelukkig noem.

- 18 Mag Jehovah God, Israel se
God, geloof word.^a
Hy alleen doen wonderlike
dinge.^b
- 19 Mag sy glorieryke naam vir
ewig geloof word,^c
en mag sy heerlikheid die
hele aarde vul.^d
Amen en Amen.
- 20 Hier eindig die gebede van
Dawid, die seun van Isai.^e

BOEK DRIE
(Psalm 73-89)

'n Melodie van Asaf.^a

73 God is werklik goed vir Is-
rael, vir dié wat suiwer
van hart is.^b

2 Maar my voete het amper
afgedwaal.

My voete het amper gegly.^c

3 Want ek het jaloers geword
op die hoogmoediges*
toe ek die vrede van die
goddeloses gesien het.^d

4 Want hulle het geen pyn
wanneer hulle sterf nie.
Hulle liggaam is gesond.^e

5 Hulle het nie probleme soos
ander mense nie,^f
en hulle ly nie soos ander
nie.^g

6 Daarom is hoogmoed vir
hulle 'n versiering om
hulle nek.^h

Geweld bedek hulle soos
'n kleed.

7 Hulle voorspoed* laat hulle
oë uitpeul.

Hulle het meer as wat hulle
hulle ooit kon voorstel.

8 Hulle spot en sê goddelose
dinge.ⁱ

Hoogmoedig dreig hulle om
ander te onderdruk.^j

HFST. 73

a 2Kr 35:15

b Ps 84:11
Mt 5:8

c Ps 94:18

d Job 21:7
Jer 12:1

e Pr 7:15

f Job 12:6
Job 21:7, 9

g Jer 12:1

h Job 21:14, 15

i Ps 53:1

j 1Kn 21:7

Tweede kol.

a Ps 10:4, 11
Ps 94:3, 7
Ese 8:12
Sef 1:12

b Ps 37:35

c Ps 17:14

d Job 34:7, 9
Job 35:3

e Ps 34:19

f Job 7:17, 18

9 Hulle praat asof hulle so
hoog soos die hemel is,
en hulle tong spog op die
aarde.

10 Daarom loop God se* volk
agter hulle aan,
en hulle drink van hulle
oortvloeiende water.

11 Hulle sê: "Hoe weet God?^a
Het die Allerhoogste regtig
kennis?"

12 Ja, so is die goddeloses, wie
se lewe altyd maklik is.^b
Hulle hou aan om hulle ryk-
dom te vermeerder.^c

13 Ek het seker verniet my hart
suiwer gehou
en my hande in onskuld
gewas.^d

14 Die hele dag lank was ek
ongelukkig.^e
Ek is elke oggend gestraf.^f

15 Maar as ek hierdie dinge
gesê het,
sou ek u volk* verraai het.

16 Toe ek dit probeer verstaan
het,
was dit vir my moeilik,

17 totdat ek in die groot heilig-
dom van God ingegaan het
en ek besef het wat hulle
toekoms sal wees.

73:3 *Of "grootpratens". 73:4 *Of
"Hulle maag is vet". 73:7 *Lett. "vet".

73:10 *Lett. "sy". 73:15 *Lett. "die
geslag van u seuns".

- 18 U plaas hulle op glibberige grond,^a sodat hulle sal val en vernietig word.^b
- 19 Hoe skielik word hulle vernietig!^c
Hoe skielik kom hulle tot 'n verskriklike einde!
- 20 Soos 'n droom wat iemand vergeet wanneer hy wakker word, o Jehovah, so sal u hulle beeld laat verdwyn* wanneer u wakker word.
- 21 Maar my hart was verbitter,^d en diep binne-in my* het ek intense pyn gevoel.
- 22 Ek was onverstandig en sonder begrip.
Ek was soos 'n verstandelose dier voor u.
- 23 Maar nou is ek heelyd by u. U het my regterhand gevat.^e
- 24 U lei my met u raad,^f en daarna sal u my tot heerlikheid lei.^g
- 25 Wie het ek in die hemel? En behalwe u begeer ek niks op die aarde nie.^h
- 26 My liggaam en my hart mag dalk ingee, maar God is vir ewig die rots van my hart en my deel.ⁱ
- 27 Dié wat ver van u af wegby, sal vernietig word.
U sal 'n einde maak aan enigiemand* wat ontrou is en u verlaat.^{#j}
- 28 Maar wat my betref, dit is vir my goed om nader aan God te kom.^k
Ek soek beskerming by die Soewereine Heer Jehovah.
Al u werke maak ek bekend.^l

73:20 *Lett. "hulle beeld verag".
73:21 *Lett. "in my niere". 73:27 *Lett. "sal almal stilmaak". #Of "u op onsedelike wyse verlaat".

HFST. 73

- a Ps 35:6, 7
Jer 23:11, 12
- b Ps 37:10, 20
Ps 55:23
Spr 3:33
- c Job 21:23
Ps 37:1, 2
Jes 30:13
- d Ps 73:3
- e Ps 16:8
Ps 63:8
Jes 41:10
- f Ps 25:9
Ps 32:8
Ps 37:23
Ps 143:10
Spr 3:6
- g Ps 37:34
- h Ps 42:2
Ps 84:2
Jes 26:9
- i Ps 16:5
Klg 3:24
- j Nu 15:39
Jak 4:4
- k Ps 65:4
Jak 4:8
- l Ps 118:17

Tweede kol.

HFST. 74

- a 1Kr 25:1
2Kr 35:15
- b Klg 5:20
- c De 29:19, 20
Ps 100:3
- d De 9:29
- e De 4:20
De 32:9
- f Ps 48:2
Ps 132:13
- g Da 9:17
- h Ps 79:1
- i Klg 2:7
- j 1Kn 6:18, 35
- k 2Kn 25:9
Jes 64:11
- l Ps 13:2
Ps 79:4

- 74** 'n Maskil.* Van Asaf.^a
Hoekom, o God, het u ons vir ewig verwerp?^b
Hoekom brand* u woede teen die skape van u weiding?^c
- 2 Dink aan die volk* wat u lank gelede uitgekies het,^d die stam wat u as u erfdeel losgekoop het.^e
Onthou die berg Sion, waar u gewoon het.^f
- 3 Rig u aandag* op die plekke wat geheel en al verwoes is.^g
Die vyand het alles in die heiligdom vernietig.^h
- 4 U vyande het in u vergaderplek gebrul.ⁱ
Hulle het hulle eie baniere daar as tekens opgerig.
- 5 Hulle was soos manne wat byle swaai in 'n digte woud.
- 6 Hulle het al die graverings daarvan^j met byle en ysterpale stukkend geslaan.
- 7 Hulle het u heiligdom aan die brand gestee.^k
Hulle het die tabernakel wat u naam dra, onheilig deur dit tot op die grond af te breek.
- 8 Hulle en hulle nageslag het in hulle hart gesê:
"Al die plekke in die land waar God aanbid word,* moet verbrand word."
- 9 Daar is geen tekens wat ons kan sien nie.
Daar is nie meer 'n profeet nie,
en niemand onder ons weet hoe lank dit so sal wees nie.
- 10 Hoe lank, o God, sal die teenstander u bly uitart?!

74:Ops *Sien Woordelys. 74:1 *Lett. "rook". 74:2 *Lett. "u vergadering". 74:3 *Lett. "voetstappe". 74:8 *Of "Al die vergaderplekke van God in die land".

Sal die vyand u naam vir ewig sonder respek behandel?^a

- 11** Hoekom hou u u hand, u regterhand, terug?^b
Haal dit uit die voue van u kleed* en maak 'n einde aan hulle.
- 12** Maar God is van lank gelede af my Koning, die Een wat reddingsdade op die aarde verrig.^c
- 13** U het die see onstuimig gemaak met u krag.^d
U het die koppe van die seemonsters in die waters stukkend gebreek.
- 14** U het die koppe van die Levia'tan* stukkend gebreek.
U het dit as voedsel vir die volk gegee, vir dié wat in die woestyne woon.
- 15** U het openinge gemaak vir die fontein en die strome.^e
U het riviere wat altyd vloei, laat opdroog.^f
- 16** Die dag behoort aan u, sowel as die nag.
U het die lig en die son gemaak.^g
- 17** U het al die grense van die aarde vasgestel.^h
U het die somer en die winter gemaak.ⁱ
- 18** Dink aan hoe die vyand u uittart, o Jehovah, hoe 'n dwase volk u naam sonder respek behandel.^j
- 19** Moenie die lewe van u tortelduif aan die wilde diere gee nie.
Moenie die lewe van u hulpelose volk vir ewig vergeet nie.
- 20** Dink aan die verbond, want die donker plekke van die aarde het die broei-plekke van geweld geword.

74:11 *Of "Haal dit uit u boesem".
74:14 *Sien Woordelys.

HFST. 74

a Ese 36:23

b Ps 44:23

Jes 64:12

Klg 2:3

c Eks 15:2

Jes 33:22

d Eks 14:21

Ne 9:10, 11

e Jes 48:21

f Jos 3:13

g Ge 1:3, 5

Ps 136:7, 8

h Han 17:26

i Ge 8:22

j Jes 52:5

Tweede kol.

a Ps 12:5

b Esr 3:11

c Ps 89:50, 51

Jes 52:5

HFST. 75

d 2Kr 35:15

e Jes 30:27

f Ps 50:6

Ps 58:11

g 1Sa 2:7

Da 2:21

Da 4:17

Lu 1:52

h Ps 115:6

21 Mag die een wat onderdruk is, nie teleurgesteld weggaan nie.^a

Mag die hulpelose en die arme u naam loof.^b

22 Staan op, o God, en verdedig u regsak.

Dink aan hoe die dwase u die hele dag lank uittart.^c

23 Moenie vergeet wat u vyande sê nie.

Die geraas van dié wat u uittart, styg die hele tyd op.

Vir die musiekleier. Op die wysie van "Moenie vernietig nie".
Van Asaf.^d 'n Lied.

75 Ons dank u, o God, ons dank u.

U naam is naby,^e
en mense verkondig u wonderlike werke.

2 U sê: "Wanneer ek 'n tyd vasstel,
oordeel ek met regverdigheid.

3 Toe die aarde en al sy inwoners gebewe* het,
het ek sy pilare stewig gehou." (Sela)

4 Ek sê vir die grootpraters:
"Moenie grootpraat nie,"
en vir die goddeloses: "Moenie spog oor julle krag* nie.

5 Moenie spog dat julle so sterk is nie*
of hoogmoedig praat nie.

6 Want heerlikheid kom nie uit die ooste of die weste of die suide nie.

7 Want God is die Regter.^f
Hy verneder die een en verheerlik die ander.^g

8 Want daar is 'n beker in Jehovah se hand.^h
Die wyn skuim en is goed gemeng.

75:3 *Lett. "gesmelt". 75:4 *Lett. "horing". 75:5 *Lett. "Moenie 'n horing oplug nie".

Hy sal dit beslis uitgooi,
en al die goddeloses van die
aarde sal tot die laaste
druppel opdrink.”^a

- 9 Maar wat my betref, ek sal
dit vir ewig verkondig.
Ek sal lofliedere sing* vir
die God van Jakob.
- 10 Want hy sê: “Ek sal ’n einde
maak aan al die krag* van
die goddeloses,
maar die krag* van die
regverdiges sal verheerlik
word.”

Vir die musiekleier: Moet met
snaarinstrumente begelei word.
’n Melodie van Asaf.^b ’n Lied.

- 76** God is bekend in Juda.^c
Sy naam is groot in
Israel.^d
- 2 Sy skuilplek is in Salem,^e
en sy woonplek is in Sion.^f
- 3 Daar het hy die vlammende
pyle van die boog gebreek,
die skild en die swaard en
die oorlogswapens.^g (Sela)
- 4 U skyn helder.
U heerlikheid is groter as
die berge vol prooi.
- 5 Die dapper manne is
gestroop.^h
Hulle het aan die slaap
geraak.
Die vegters was almal
hulpeloos.ⁱ
- 6 As gevolg van u straf, o God
van Jakob,
het die strydwa se drywer
sowel as die perd vas aan
die slaap geraak.^j
- 7 U alleen is ontsagwekkend.^k
Wie kan u intense woede
weerstaan?^l
- 8 Vanuit die hemel het u die
oordeel uitgespreek.^m
Die aarde was bang en het
stilgebly.ⁿ

75:9 *Of “musiek maak”. 75:10 *Lett.
“horings”.

HFST. 75
a Job 21:19, 20
Jer 25:15, 28
Jer 49:12
Op 14:9, 10
Op 16:19
Op 18:6

HFST. 76
b 2Kr 35:15
c Ps 48:1, 3
d 2Kr 2:5
e Ge 14:18
f Ps 74:2
Ps 132:13
Ps 135:21
g 2Kr 32:21
Ps 46:9
h Lu 1:51

i Jes 31:8
Jes 37:36
j Na 2:13
k Ps 89:7
l Jer 10:10
Na 1:6
m 1Kn 8:49
n 2Kr 20:29
Ps 2:4, 5

Tweede kol.

a Ps 147:6
Spr 3:34
Sef 2:3
b Spr 16:4
Da 3:19, 28
c Nu 30:2
d 2Kr 32:23
Ps 89:7

HFST. 77
e 2Kr 35:15
f Ps 34:6
Spr 15:29
g Ps 18:6
Ps 50:15
h Ps 42:5

i Ps 143:4
j Ps 143:5
Jes 51:9
k Ps 42:8

- 9 toe God opgestaan het om
te oordeel en te straf,
om al die nederiges van die
aarde te red.^a (Sela)
- 10 Want die woede van die
mens sal daartoe lei dat
u geprys word.^b
Met die res van hulle woede
sal u uself versier.
- 11 Maak julle geloftes aan
Jehovah julle God, en kom
dit na,^c
laat almal om hom hulle ge-
skenk met vrees bring.^d
- 12 Hy sal die trots* van leiers
verneder.
Hy vervul die konings van
die aarde met vrees.

Vir die musiekleier: Op Jedu'tun.*
Van Asaf.^e ’n Melodie.

- 77** Met my stem sal ek tot
God roep.
Ek sal tot God roep, en hy
sal my hoor.^f
- 2 Op die dag van my ramp-
spoed soek ek Jehovah.^g
In die nag is my hande heel-
tyd* na hom toe uitge-
strek.
Ek kan nie vertroos word
nie.
- 3 Wanneer ek aan God dink,
kreun ek.^h
Ek is baie bekommerd en
het nie meer krag nie.*ⁱ
(Sela)
- 4 U laat nie toe dat ek my oë
toemaak nie.
Ek is ontsteld en kan nie
praat nie.
- 5 Ek het begin dink aan die
dae van lank gelede,^j
die jare van die verre
verlede.
- 6 In die nag dink ek aan
my lied.*^k

76:12 *Lett. “gees”. 77:Ops *Sien
Woordelys. 77:2 *Lett. “sonder om
slap te word”. 77:3 *Lett. “my gees
gee in”. 77:6 *Of “snaarmusiek”.

Ek peins in my hart.^a

Ek* stel deeglik
ondersoek in.

- 7 Sal Jehovah ons vir ewig
verwerp?^b
Sal hy ons nooit weer sy
goedkeuring gee nie?^c
- 8 Het sy lojale liefde vir ewig
geëindig?
Sal sy belofte van geslag tot
geslag op niks uitloop nie?
- 9 Het God vergeet om
medelye* te betoon?^d
Of het sy woede sy genade
laat ophou? (*Sela*)
- 10 Moet ek bly sê: "Dit is wat
my pla:*^e
Die Allerhoogste het sy
standpunt^f teenoor ons
verander"?
- 11 Ek sal aan die werke van
Jah dink.
Ek sal aan u wonderlike
dade van lank gelede dink.
- 12 En ek sal nadink oor alles
wat u doen
en peins oor u handelinge.^f
- 13 O God, u weë is heilig.
Watter god is so groot soos
u, o God?^g
- 14 U is die ware God, wat won-
derlike dinge doen.^h
U het u krag aan die volke
geopenbaar.ⁱ
- 15 Met u krag* het u u volk
gered,^g
die kinders van Jakob en
van Josef. (*Sela*)
- 16 Die waters het u gesien,
o God.
Die waters het u gesien en
het onrustig geword.^k
Die diep waters het onstui-
mig geword.
- 17 Die wolke het water
uitgestort.

77:6 *Lett. "My gees". 77:9; 78:Ops
*Sien Woordelys. 77:10 *Of "deur-
boor". #Lett. "regterhand". 77:15
*Lett. "arm". #Lett. "verlos".

HFST. 77

- a Ps 77:12
b Ps 74:1
c Ps 79:5
d Jes 49:14
Jes 63:15
e Ps 31:22
f 1Kr 16:9
Ps 143:5
g Eks 15:11
Ps 89:8
h Ps 72:18
Op 15:3
i Eks 9:16
Jes 52:10
Da 3:29
Da 6:26, 27
j Eks 6:6
De 9:29
k Eks 14:21
Jos 3:16
Ps 114:1-3

Tweede kol.

- a 2Sa 22:15
Ps 144:6
b Ps 29:3
c Ps 97:4
d Eks 19:18
2Sa 22:8
e Ne 9:10, 11
Hab 3:15
f Eks 13:21
Ps 78:52
g Jes 63:11
Han 7:35, 36

HFST. 78

- h 1Kr 25:1
i Spr 1:5, 6
Mt 13:34, 35
j Eks 13:8
Ps 44:1
k De 4:9
De 6:6, 7
De 6:21
De 11:18, 19
Jos 4:6, 7
Jes 63:7
l Ps 98:1

In die bewolkte lug het
donderslae gedreun,
en u pyle het in alle rigtings
gevlieg.^a

- 18 Die geluid van u donderslae^b
was soos die wiele van
strydwaens.
Weerligstrale het die be-
woonde aarde* verlig.^c
Die aarde het gebewe en
geskud.^d
- 19 U weg het deur die see
gegaan,^e
u pad deur baie waters.
Maar u voetspore kon nie
gevind word nie.
- 20 U het u volk net soos
'n kudde gelei,^f
in die sorg* van Moses en
Aäron.^g

Maskil.* Van Asaf.^h

78 Luister, my volk, na my
wet.*

- Skenk aandag aan die
woorde van my mond.
- 2 Ek sal my mond oopmaak
met 'n spreekwoord.
Ek sal raaisels van lank
gelede vertel.ⁱ
- 3 Die dinge wat ons gehoor
het en wat ons weet,
wat ons vaders ons vertel
het,^j
- 4 sal ons nie vir hulle kinders
wegsteek nie.
Ons sal die geslag wat kom,
van die lofwaardige dade
van Jehovah en van sy
krag vertel,^k
van die wonderlike dinge
wat hy gedoen het.^l
- 5 Hy het 'n herinnering in
Jakob gegee
en 'n wet in Israel gemaak.
Hy het ons voorvaders
beveel

77:18 *Of "die vrugbare land". 77:20
*Lett. "deur die hand". 78:1 *Of "on-
derrigting".

- om hierdie dinge aan hulle kinders bekend te maak,^a
- 6** sodat die volgende geslag, die kinders wat nog gebore sal word, daarvan kan weet.^b
- Hulle sal weer hulle kinders daarvan vertel.^c
- 7** Dan sal hulle hulle vertrou in God stel.
- Hulle sal God se werke nie vergeet nie.^d
- Hulle sal sy gebooië gehoorzaam.^e
- 8** Dan sal hulle nie soos hulle voorvaders wees nie, 'n hardkoppige en opstandige geslag,^f
- 'n geslag wie se hart nie standvastig* was nie^g en wie se gees nie aan God getrou was nie.
- 9** Die Efraimiete was met die boog gewapen, maar hulle het teruggetrek op die dag van die veg.
- 10** Hulle het nie die verbond van God gehou nie,^h en hulle het geweier om sy wet te volg.ⁱ
- 11** Hulle het ook vergeet wat hy gedoen het,^j sy wonderlike werke wat hy hulle laat sien het.^k
- 12** Hy het wonderlike dinge voor die oë van hulle voorvaders gedoen,^l in Egipte, die gebied van Soan.^m
- 13** Hy het die see verdeel sodat hulle kon deurgaans, en hy het die waters soos 'n dam* laat opstaan.ⁿ
- 14** Hy het hulle in die dag met 'n wolk gelei, en deur die hele nag met die lig van 'n vuur.^o
- 15** Hy het rotse in die wildernis oopgebreek.

78:8 *Lett. "voorbereid". 78:13 *Of "muur".

HFST. 78

- a Ge 18:19
De 6:6, 7
- b Ps 71:17, 18
Ps 102:18
- c De 4:10
- d De 4:9
Ps 103:2
- e De 5:29
- f Eks 32:9
De 1:43
De 31:27
2Kn 17:13, 14
Ese 20:18
Han 7:51
- g Ps 81:11, 12
Jer 7:24-26
- h De 31:16
- i 2Kr 13:8, 9
Ne 9:26
- j De 32:18
2Kr 13:12
Jer 2:32
- k Ps 106:21, 22
- l De 4:34
Ne 9:10
- m Nu 13:22
- n Eks 14:21, 22
Eks 15:8
- o Eks 13:21
Eks 14:20, 24

Tweede kol.

- a Eks 17:6
Nu 20:11
Ps 105:41
Jes 48:21
1Kor 10:4
- b De 8:14, 15
- c De 9:21, 22
Ps 95:8
Heb 3:16
- d Ps 106:14
- e Eks 16:8
- f Eks 17:6
- g Eks 16:3
- h Nu 11:10
- i Heb 12:29
- j Nu 11:1
- k Ps 106:24
Heb 3:10
Jud 5
- l Eks 16:14, 35
Eks 16:31, 32
Nu 11:7
De 8:3
Joh 6:31
1Kor 10:2, 3

- Hy het hulle genoeg laat drink, asof uit diep waters.^a
- 16** Hy het strome uit 'n groot rots laat kom en het waters soos riviere laat afvloei.^b
- 17** Maar hulle het aangehou om teen hom te sondig deur teen die Allerhoogste in opstand te kom in die woestyn.^c
- 18** Hulle het God in hulle hart uitgedaag*^d deur aan te dring op kos wat hulle begeer het.
- 19** Hulle het dus teen God gepraat en gesê: "Kan God 'n tafel in die wildernis dek?"^e
- 20** Kyk! Hy het 'n rots geslaan sodat waters gevloei en uitgestroom het.^f
- "Kan hy vir ons ook brood gee, of kan hy vir sy volk vleis gee?"^g
- 21** Toe Jehovah hoor wat hulle sê, het hy woedend geword.^h
- 'n Vuurⁱ het teen Jakob gebrand, en sy woede het teen Israel opgevlam^j
- 22** omdat hulle nie geloof in God gestel het^k of vertrou gehad het in sy vermoë om hulle te red nie.
- 23** Hy het die bewolkte lug 'n bevel gegee, en hy het die deure van die hemel oopgemaak.
- 24** Hy het aangehou om manna te laat reën vir hulle om te eet.
- Hy het die graan van die hemel vir hulle gegee.^l

78:18 *Lett. "getoets".

- 25 Mense het die brood van magtiges* geëet.^a
Hy het genoeg voorsien om hulle te versadig.^b
- 26 Hy het die oostewind in die hemel laat opkom en 'n suidewind deur middel van sy krag laat waai.^c
- 27 En hy het vleis op hulle laat reën net soos stof, voëls soos die sand van die see.
- 28 Hy het dit in die middel van sy kamp laat val, al om sy tente.
- 29 En hulle het geëet en hulle ooreet.
Hy het hulle gegee wat hulle begeer het.^d
- 30 Maar voordat hulle hulle begeerte heeltemal bevredig het, terwyl hulle kos nog in hulle mond was,
- 31 het God woedend geword vir hulle.^e
Hy het hulle sterkste manne doodgemaak.^f
Hy het die jong manne van Israel neergeslaan.
- 32 Ten spyte hiervan het hulle selfs verder gesondig^g en geen geloof in sy wonderlike werke gestel nie.^h
- 33 Daarom het hy hulle dae tot 'n einde gebring, asof dit net asem was,ⁱ
en hulle jare beëindig deur middel van verskriklike dinge wat skielik oor hulle gekom het.
- 34 Maar elke keer wanneer hy party van hulle doodgemaak het, het hulle hom gesoek.^j
Hulle het teruggekeer en God gesoek.
- 35 Hulle het onthou dat God hulle Rots is^k

78:25 *Of "engele".

HFST. 78

a Ps 103:20

b Eks 16:12

c Nu 11:31-34

d Nu 11:19, 20

e Nu 11:10

f Nu 11:34

g Nu 14:2-4
Nu 25:3
1Kor 10:8-10

h Eks 16:15
De 8:14, 15

i Nu 14:29, 35
De 2:14

j Nu 21:7
Rig 4:3

k De 32:4

Tweede kol.

a Eks 6:6

b Ps 95:10
Heb 3:10

c De 31:20
Jer 31:32

d Eks 34:6
Nu 14:18
Ne 9:31

e Nu 14:19, 20
Jer 30:11
Klg 3:22

f Ne 9:27
Jes 48:9
Ese 20:9

g Ps 103:14

h Nu 14:11

i Jes 63:10
Ef 4:30
Heb 3:16

j Nu 14:22
De 6:16
Ps 95:8, 9

k Eks 14:30

l De 4:34
Ne 9:10

Ps 105:27-36

m Eks 7:19

n Eks 8:24

en dat die allerhoogste God hulle Verlosser* is.^a

- 36 Maar hulle het hom met hulle mond probeer mislei en met hulle tong vir hom gelieg.
- 37 Hulle hart was nie standvastig teenoor hom nie.^b
En hulle was nie getrou aan sy verbond nie.^c
- 38 Maar hy was genadig.^d
Hy het hulle oortreding vergewe* en hulle nie vernietig nie.^e
Hy het sy woede dikwels teruggehou^f in plaas daarvan om dit te laat opvlam.
- 39 Want hy het in gedagte gehou dat hulle vlees is,^g 'n wind wat verbywaai en nie terugkom nie.*
- 40 Hoe dikwels het hulle teen hom in die wildernis in opstand gekom^h en sy gevoelens in die woestyn seergemaak!ⁱ
- 41 Keer op keer het hulle God se geduld getoets,^j en hulle het die Heilige van Israel hartseer gemaak.*
- 42 Hulle het vergeet van sy krag,*
die dag toe hy hulle van die vyand gered^k het,^k
- 43 hoe hy sy tekens in Egipte vertoon het^l
en sy wonderwerke in die gebied van Soan,
- 44 en hoe hy die Nylkanale in bloed verander het,^m sodat hulle nie uit hulle strome kon drink nie.
- 45 Hy het swerms steekvlieë gestuur om hulle te verblindⁿ
- 78:35 *Of "Wreker". 78:38 *Lett. "bedek". 78:39 *Of moontlik "dat die gees uitgaan en nie terugkom nie". 78:41 *Of "gepynig". 78:42 *Lett. "hand". ^aLett. "verlos".

en paddas om verwoesting
oor hulle te bring.^a

- 46** Hy het hulle oeste aan die
gulsige sprinkane gegee,
die vrug van hulle
arbeid aan die swerms
sprinkane.^b
- 47** Hy het hulle wingerde met
hael vernietig,^c
en hulle wildevyebome met
haelstene.
- 48** Hy het hulle paktiere aan
die hael oorgegee,^d
en hulle vee aan die weerlig-
strale.*
- 49** Hy het sy brandende woede
oor hulle gebring,
groot woede en paniek,
groepe engele wat ramp-
spoed bring.
- 50** Hy het 'n pad vir sy woede
ooggemaak.
Hy het hulle nie van die
dood teruggehou nie,
en hy het hulle* aan vrees-
like siektes oorgegee.
- 51** Uiteindelik het hy al die
eersgeborenes van Egipte
doodgemaak,^e
die begin van hulle voort-
plantingsvermoë in die
tente van Gam.
- 52** Toe het hy sy volk uitge-
bring soos 'n kudde^f
en hulle gelei soos 'n trop
in die wildernis.
- 53** Hy het hulle in veiligheid
gelei,
en hulle was nie bang nie.^g
Die see het hulle vyande
bedek.^h
- 54** En hy het hulle na sy heilige
gebied gebring,ⁱ
hierdie bergstreek wat sy
regterhand verkry het.^j
- 55** Hy het die nasies voor hulle
uit verdryf.^k

78:48 *Of moontlik “die brandende
koors”. **78:50** *Lett. “hulle lewe”.

HFST. 78

- a Eks 8:6
b Eks 10:14, 15
c Eks 9:23
d Eks 9:25
e Eks 12:29
Ps 105:36
f Ps 77:20
Ps 105:37
g Eks 14:20
Heb 11:29
h Eks 14:27
Eks 15:10
i Eks 15:17
j Ps 44:3
k Jos 24:12
Ps 44:2

Tweede kol.

- a Jos 13:7
b Ne 9:24, 25
c De 31:16
De 32:15
Rig 2:11
2Sa 20:1
Ne 9:26
d 2Kn 17:15
Jer 44:23
e De 9:7
Rig 3:6
f Ho 7:16
g De 12:2
Rig 2:2
Ese 20:28
h Rig 2:12
1Sa 7:3
i Rig 2:20
j Jos 18:1
1Sa 4:11
k Jer 7:12
l 1Sa 4:21
1Sa 5:1
m 1Sa 4:2, 10

- n 1Sa 2:33, 34
1Sa 4:11
o 1Sa 4:19

Hy het 'n erfdeel met die
maatlyn aan hulle toege-
ken.^a

Hy het die stamme van Is-
rael in hulle huise laat
woon.^b

- 56** Maar hulle het aangehou om
God, die Allerhoogste, uit
te daag* en om teen hom
in opstand te kom.^c
Hulle het nie aandag ge-
skenk aan sy herinneringe
nie.^d
- 57** Hulle het ook bly wegdraai
en was net so bedrieglik
soos hulle voorvaders.^e
Hulle was net so onbetrou-
baar soos 'n slap boog.^f
- 58** Hulle het hom bly aanstoot
gee met hulle offerhoog-
tes,^g
en hulle het hom woedend*
gemaak met hulle beelde.^h
- 59** God het gehoor en het
woedend geword,ⁱ
en daarom het hy Israel
heeltemal verwerp.
- 60** Hy het uiteindelik die taber-
nakel van Silo' verlaat,
die tent waar hy onder die
mense gewoon het.^k
- 61** Hy het die simbool van
sy krag in gevangenskap
laat gaan,
sy prag in die hand van
die vyand.^l
- 62** Hy het sy volk aan die
swaard oorgelewer^m
en het woedend geword vir
sy erfdeel.
- 63** Vuur het sy jong manne
verteer,
en geen huweliksliedjies is
vir sy maagde gesing nie.*
- 64** Sy priesters is met die
swaard doodgemaak,ⁿ
en hulle weduwees het nie
gehuil nie.^o

78:56 *Lett. “te toets”. **78:58** *Of “ja-
loers”. **78:63** *Lett. “en sy maagde is
nie geprys nie”.

65 Toe het Jehovah wakker geword asof hy geslaap het,^a soos 'n magtige man^b wat wakker word nadat hy baie wyn gedrink het.

66 En hy het sy vyande teruggedryf.^c Hy het permanente skande oor hulle gebring.

67 Hy het die tent van Josef verwerp. Hy het nie die stam van E'fraim uitgekies nie.

68 Maar hy het die stam van Juda uitgekies,^d die berg Sion, waarvoor hy lief is.^e

69 Hy het sy heiligdom so permanent soos die hemel maak,^{*f} soos die aarde wat hy vir ewig gevestig het.^g

70 Hy het sy kneg Dawid uitgekies^h en hom van die skaapkrale af weggeneem,ⁱ

71 weg van die ooie wat hulle kleintjies soog. Hy het hom die herder gemaak oor Jakob, sy volk,^j en oor Israel, sy erfdeel.^k

72 Hy het met opregtheid* van hart as herder oor hulle toesig gehou^l en hulle met vaardige hande gelei.^m

ⁿ Melodie van Asaf.ⁿ

79 O God, die nasies het u erfdeel binnegeval.^o Hulle het u heilige tempel onrein gemaak.^p

Hulle het Jerusalem verwoes.^{*q}

2 Hulle het die lyke van u knegte aan die voëls van

78:69 *Lett. "Hy het sy heiligdom gebou soos die hoogtes". 78:72 *Of "integriteit". Sien Woordelys. 79:1 *Of "n ruïne gemaak".

HFST. 78

a Ps 44:23
b Jes 42:13
c 1Sa 5:6
d Ge 49:10
e Ps 87:2
Ps 132:13
Ps 135:21
f Ps 76:2
g Ps 104:5
Ps 119:90
Pr 1:4
h 1Sa 16:12, 13
i 1Sa 17:15
j 2Sa 7:8
k 2Sa 6:21
l 2Sa 8:15
1Kn 3:6
1Kn 9:4
1Kn 15:5
m 1Sa 18:14

HFST. 79

n 1Kr 25:1
o Eks 15:17
p 2Kn 24:12, 13
Ps 74:3, 7
Klg 1:10
q 2Kn 25:9, 10
2Kr 36:17-19
Jer 52:13

Tweede kol.

a Jer 7:33
Jer 15:3
Jer 34:20
b Jer 14:16
Jer 16:4
c De 28:37
Ese 36:4
d Ps 74:1
Ps 85:5
Jes 64:9
e Sef 1:18
f Jer 10:25
g 2Kr 36:20, 21
h Ne 9:34
i Ps 69:17
Klg 3:22
j 1Kr 16:35
k Jos 7:9
1Sa 12:22
2Kr 14:11
Ps 115:1, 2
Jes 48:9
Jer 14:7
l Jl 2:17
m Jer 51:35
Ese 36:23
n Eks 2:23
Jes 42:6, 7

die hemel as voedsel gegee, en die vlees van u lojales aan die wilde diere van die aarde.^a

3 Hulle het hulle bloed soos water om Jerusalem uitgegooi,

en daar is niemand oor om hulle te begrawe nie.^b

4 Ons het 'n bespotting vir ons bure geword.^c Mense om ons spot met ons en lag ons uit.

5 Hoe lank, o Jehovah, sal u woedend wees? Vir ewig?^d Hoe lank sal u woede net soos 'n vuur brand?^e

6 Stort u woede uit oor die nasies wat u nie ken nie en oor die koninkryke wat u naam nie aanroep nie.^f

7 Want hulle het Jakob verslind en sy tuisland verwoes.^g

8 Moenie ons verantwoordelik hou vir die oortredings van ons voorouers nie.^h

Moenie lank neem om u genade aan ons te betoon nie,ⁱ want ons het baie diep gesink.

9 Help ons, o God van ons redding,^j ter wille van u glorieryke naam.

Red ons en vergewe* ons sondes ter wille van u naam.^k

10 Hoekom moet die nasies sê: "Waar is hulle God?"^l Laat dit voor ons eie oë onder die nasies bekend word dat u knegte se bloed wat uitgestort is, gewreek is.^m

11 Mag u die gesug van die gevangene hoor.ⁿ

79:9 *Lett. "bedek".

Gebruik u groot krag* om dié wat tot die dood veroordeel is,[#] te bewaar.^{Δa}

- 12** Betaal ons bure sewe keer terug^b omdat hulle u uitgetart het, o Jehovah.^c
- 13** Dan sal ons, u volk en die skape van u weiding,^d u vir ewig bedank, en ons sal u lof van geslag tot geslag bekend maak.^e

Vir die musikleier:
Op die wysie van "Die lelies".
'n Herinnering. Van Asaf.^f
'n Melodie.

- 80** O Herder van Israel, luister, u wat Josef net soos 'n kudde lei.^g U wat op u troon bo* die gerubs sit,^h laat u lig tog skyn.[#]
- 2** Wek tog u mag opⁱ voor E'fraim en Benjamin en Manas'se. Kom red ons.^j
- 3** O God, laat ons weer u goedkeuring geniet.^k Betoon goedheid aan ons, sodat ons gered kan word.^l
- 4** Jehovah, God van die leërmagte, hoe lank sal u vyandig wees* teenoor u volk en weier om na hulle gebede te luister?^m
- 5** U gee vir hulle trane om as brood te eet, en u laat hulle 'n oorvloed trane drink.
- 6** U laat ons bure oor ons stry. Ons vyande hou aan om ons te spot net soos hulle wil.ⁿ
- 7** O God van die leërmagte, laat ons weer u goedkeuring geniet.

79:11 *Lett. "arm". #Lett. "die seuns van die dood". ΔOf moontlik "te bevry". 80:1 *Of moontlik "tussen". #Of "openbaar u stralende prag". 80:4 *Of "u woede rook".

HFST. 79

- a Ps 102:19, 20
b Jer 12:14
c Ps 74:18
d Ps 74:1
Ps 95:7
Ps 100:3
e Ps 145:4
Jes 43:21

HFST. 80

- f 1Kr 25:1
g Ps 77:20
Jes 40:11
Jer 31:10
Ese 34:12
1Pe 2:25
h Eks 25:20, 22
1Sa 4:4
i Jes 42:13
j Jes 25:9
k Ps 85:4
Klg 5:21
l Nu 6:25
Ps 67:1, 2
m Ps 74:1
Ps 85:5
Klg 3:44
n Ps 44:13
Ps 79:4

Tweede kol.

- a Ps 80:3, 19
b Jes 5:7
c Ps 44:2
Ps 78:55
Jer 2:21
d Eks 23:28, 30
Jos 24:12, 13
1Kn 4:25
e Ge 15:18
Eks 23:31
1Kn 4:21
Ps 72:8
f Jes 5:5
g Na 2:2
h 2Kn 18:9
2Kn 24:1
2Kn 25:1
2Kr 32:1
Jer 39:1
i Jes 63:15
j Jes 5:7
Jer 2:21
k Eks 4:22
Jes 49:5
l Ps 79:5
Jer 52:12, 13
m Ps 89:20, 21

Betoon goedheid aan ons, sodat ons gered kan word.^a

- 8** U het 'n wingerdstok^b uit Egipte laat gaan. U het die nasies verdryf en dit geplant.^c
- 9** U het plek daarvoor gemaak, en dit het wortelgeskiet en die land gevul.^d
- 10** Die berge is deur sy skaduwee bedek, en die sederbome van God deur sy takke.
- 11** Sy takke het tot by die see gestrek, en sy jong takkies tot by die Rivier.^{*e}
- 12** Hoekom het u die klipmure van die wingerd afgebreek^f sodat almal wat verbygaan, die vrugte daarvan pluk?^g
- 13** Die wildevarke van die woud verniel dit, en die wilde diere van die veld vreet daaraan.^h
- 14** O God van die leërmagte, keer asseblief terug. Kyk af uit die hemel en sien! Sorg vir hierdie wingerdstok,ⁱ
- 15** die stok* wat u regterhand geplant het,^j en kyk na die seun[#] wat u vir uself sterk gemaak het.^k
- 16** Dit is met vuur verbrand,^l afgekap. Hulle sterf as gevolg van u straf.
- 17** Mag u hand die man aan u regterhand ondersteun, die mensekind wat u vir uself sterk gemaak het.^m
- 18** Dan sal ons nie van u af wegdraai nie.

80:11 *Die Eufraatrivier. 80:15 *Of "hoofstam van die wingerdstok". #Of "tak".

Bewaar ons lewe, sodat ons u naam kan aanroep.

- 19 O Jehovah, God van die leërmagte, laat ons weer u goedkeuring geniet. Betoon goedheid aan ons, sodat ons gered kan word.^a

Vir die musiekleier:
Op die Gittit.* Van Asaf.^b

- 81** Roep vreugdevol uit voor God, ons krag.^c

Roep van blydschap uit voor die God van Jakob.

- 2 Begin die musiek speel en neem 'n tamboeryn, die harp met sy lieflike klank saam met die snaarinstrument.

- 3 Blaas die horing op die nuwemaan,^d op die volmaan, vir ons feesdag.^e

- 4 Want dit is 'n bevel vir Israel, 'n besluit van die God van Jakob.^f

- 5 Hy het dit as 'n herinnering vir Josef gegee^g toe Hy teen Egipte uitgegaan het.^h

Ek het 'n stem* gehoor wat ek nie herken het nie:

- 6 "Ek het die las van sy skouer afgelig.ⁱ

Sy hande is van die mandjie bevry.

- 7 In jou tyd van moeilikheid het jy geroep, en ek het jou gered.^j

Ek het jou uit die donderwolk* geantwoord.^k

Ek het jou by die waters van Me'riba[#] getoets.^l (Sela)

- 8 Hoor, my volk, en ek sal teen jou getuig.

HFST. 80

a Ps 80:7

HFST. 81

b 1Kr 25:1

c Ps 28:8

d Nu 29:1

e Eks 23:16
Nu 10:10

f Le 23:23, 24

g Eks 12:14

h Eks 12:12

i Eks 1:13, 14
Eks 6:6

j Eks 14:10, 13
Ps 91:15

k Eks 19:16, 19

l Eks 17:6, 7

Tweede kol.

a Eks 15:26

b Eks 20:2-5
De 6:13, 14

c De 5:6

d De 32:13, 14

e Eks 32:1
De 32:15

f Jer 7:23, 24
Jer 11:7, 8
Mi 6:16

g De 32:29

h De 5:29
Jes 48:17, 18

i Nu 14:9

j Ps 147:14

k De 32:13, 14

HFST. 82

l 1Kr 25:1

m 2Kr 19:6

n Eks 18:21, 22
Ps 82:6
Joh 10:34, 35

o Le 19:15

Pr 5:8

O Israel, as jy maar net na my sal luister.^a

- 9 Daar sal geen vreemde god by jou wees nie, en jy sal nie voor 'n uitlandse god neerbuig nie.^b

- 10 Ek, Jehovah, is jou God, die Een wat jou uit Egipte uitgelei het.^c

Maak jou mond wyd oop, en ek sal dit vul.^d

- 11 Maar my volk het nie na my stem geluister nie.

Israel wou hom nie aan my onderwerp nie.^e

- 12 Daarom het ek hulle aan hulle hardkoppigheid oorgelaat.

Hulle het gedoen wat hulle gedink het reg is.^{#f}

- 13 As my volk maar net na my wou luister.^g

As Israel maar net my weë wou volg!^h

- 14 Ek sou hulle vyande gou onderwerp.

Ek sou my hand teen hulle vyande draai.ⁱ

- 15 Dié wat Jehovah haat, sal kruip in sy teenwoordigheid,

en hulle einde* sal vir ewig wees.

- 16 Maar hy sal jou* die beste[#] koring laat eet^j

en jou met heuning uit die rots versadig.^{#k}

'n Melodie van Asaf.^l

- 82** God neem sy plek in by sy vergadering.^{#m}

Tussen die gode[#] spreek hy sy oordeel uit.ⁿ

- 2 "Hoe lank sal jul-le aanhou om onregverdig te oordeel^o

81:12 *Lett. "Hulle het in hulle planne gewandel". 81:15 *Lett. "tyd". 81:16 *Lett. "hom", d.w.s. God se volk. #Lett. "die vet van die". 82:1 *Of "by die vergadering van die Goddelike Wese". #Of "dié wat soos gode is".

81:Ops *Sien Woordelys. 81:5 *Of "taal". 81:7 *Lett. "in die skuilplek van die donder". #Beten "stryery".

en die goddeloses se kant te kies?^a (*Sela*)

3 Verdedig* die hulpeloses en die weeskinders.^b

Gee geregtigheid aan dié wat magtelos is en dié wat behoeftig is.^c

4 Bevry die hulpeloses en die armes.

Red hulle uit die hand van die goddeloses.”

5 Hulle weet nie, en hulle verstaan ook nie.^d

Hulle loop in duisternis rond.

Al die fondamente van die aarde word geskud.^e

6 “Ek het gesê: ‘Julle is gode.*^f Julle almal is seuns van die Allerhoogste.

7 Maar julle sal sterf net soos mense,^g en soos enige ander prins sal julle val!”^h

8 Staan op, o God, en oordeel die aarde,ⁱ want al die nasies behoort aan u.

¹n Lied. ‘n Melodie van Asaf./

83 O God, moenie stilbly nie.^k

Praat en tree op, o God.

2 Kyk! U vyande gaan te kere.^l Dié wat u haat, tree hoogmoedig op.*

3 In die geheim beraam hulle slinkse planne teen u volk. Hulle sweer saam teen dié wat vir u kosbaar is.*

4 Hulle sê: “Kom, laat ons hulle as ‘n nasie uitwis,^m sodat die naam van Israel nie meer onthou sal word nie.”

5 Hulle dink saam ‘n strategie uit.*

82:3 *Of “Oordeel”. **82:6** *Of “soos gode”. **83:2** *Of “lig hulle koppe op”. **83:3** *Lett. “u verborgenes”. **83:5** *Of “Hulle maak planne met een hart”.

HFST. 82

a De 1:16, 17

2Kr 19:7

Spr 18:5

b De 24:17

c Jer 22:3

d Mi 3:1

e Ps 11:3

Spr 29:4

f Joh 10:34, 35

1Kor 8:5

g Ps 49:12

h Ps 146:3, 4

i Ps 96:13

HFST. 83

j 2Kr 20:14

k Ps 28:1

l Ps 2:1, 2

m Eks 1:8-10

2Kr 20:1

Est 3:6

Tweede kol.

a 2Sa 10:6

Jes 7:2, 5

b 2Kr 20:1, 10

c 1Kr 5:10

d Jer 49:2

e Eks 15:14

Ps 60:8

f Am 1:9

g 2Kn 17:5

h Ge 19:36-38

De 2:9

i Rig 8:10, 12

j Rig 4:2, 7, 15

k Jos 17:11

l Rig 7:25

m Rig 8:21

n Jes 17:13

o Ps 144:5

Na 1:6

p Jes 30:30

q Ps 11:6

Hulle het ‘n verbond* gemaak teen u^a –

6 die tente van Edom en die Ismaeliete, Moab^b en die Hagriete,^c

7 Gebal en Ammon^d en A’malek,

Filiste’a^e saam met die inwoners van Tirus.^f

8 Assi’rië^g het ook by hulle aangesluit.

Hulle ondersteun* die kinders van Lot.^h (*Sela*)

9 Doen aan hulle soos u aan Mi’dian gedoen het,ⁱ soos u aan Si’sera en Jabin by die Kison-stroom* gedoen het.^j

10 Hulle is by En-Dor^k vernietig.

Hulle het mis vir die grond geword.

11 Maak hulle heersers soos Oreb en Seëb,^l en hulle leiers soos Seba en Sal’munna,^m

12 want hulle het gesê: “Laat ons die land waar God woon, in besit neem.”

13 O my God, maak hulle soos ‘n rolbos* in ‘n warrelwind,ⁿ

soos strooi wat deur die wind rondgewaai word,

14 soos ‘n vuur wat die woud afbrand,

soos ‘n vlam wat die berge verskroei.^o

15 Mag u hulle so agtervolg met u orkaan^p

en hulle baie bang laat word as gevolg van u windstorm.^q

16 Bedek* hulle gesigte met skande, sodat hulle u naam sal soek, o Jehovah.

83:5 *Of “bondgenootskap”. **83:8** *Lett. “het ‘n arm geword vir”. **83:9** *Of “wadi Kison”. Sien Wordelys. **83:13** *Of “dissel”. **83:16** *Lett. “Vul”.

17 Mag hulle vir ewig verneder word en baie bang wees. Mag hulle skaam kry en sterf.

18 Mag mense weet dat u, wie se naam Jehovah is,^a u alleen die Allerhoogste oor die hele aarde is.^b

Vir die musiekleier: Op die Gittit.* Van die seuns van Korag.^c 'n Melodie.

84 Hoe lieflik* is u groot tabernakel,^d o Jehovah van die leërmagte!

2 My hele wese verlang, ja, ek smag van verlange, na die voorhowe van Jehovah.^e My hart en my vlees roep vreugdevol uit tot die lewende God.

3 Selfs die voël vind 'n tuiste daar, en die swaeltjie 'n nes vir haar, waar sy vir haar kleintjies sorg naby u groot altaar, o Jehovah van die leërmagte, my Koning en my God!

4 Gelukkig is dié wat in u huis woon!^f Hulle hou aan om u te loof.^g (Sela)

5 Gelukkig is die mense wat hulle krag in u vind,^h wie se hart begeer om op die paaie te wees wat na u huis lei.

6 Wanneer hulle deur die Baka-vallei* trek, verander hulle dit in 'n plek met fonteine, en die vroeë reën beklee dit* met seëninge.

84:Ops *Sien Woordelys. 84:1 *Of "baie geliefd". 84:6 *Of "die vallei van bakabosse". #Of moontlik "en die onderrigter beklee hom".

HFST. 83

a Eks 6:3
Ps 68:4
Jes 42:8
Jes 54:5

b Ps 59:13
Ps 92:8
Da 4:17

HFST. 84

c 2Kr 20:19

d Ps 27:4
Ps 43:3
Ps 46:4

e Ps 42:1, 2
Ps 63:1, 2

f Ps 23:6
Ps 65:4

g 1Kr 25:7
Ps 150:1

h Ps 28:7

Tweede kol.

a Ps 18:32
Jes 40:29-31
Hab 3:19

b Ge 15:1

c 1Sa 2:10

d Ps 26:8
Ps 27:4
Ps 43:3, 4

e Ps 27:1
Jes 60:19, 20

f De 33:29
2Sa 22:3
Ps 144:2

g Ps 34:9
Ps 37:18

h Ps 146:5
Jer 17:7

HFST. 85

i 2Kr 20:19

j Le 26:42
Jl 2:18

k Esr 2:1
Jer 30:18
Ese 39:25

l Jer 50:20
Mi 7:18

m Ps 103:9
Jes 12:1

7 Terwyl hulle stap, kry hulle al hoe meer krag.^a Elkeen verskyn voor God in Sion.

8 O Jehovah, God van die leërmagte, hoor my gebed. Luister, o God van Jakob. (Sela)

9 Ons skild^b en ons God, kyk tog,* kyk na die gesig van u gesalfde.^c

10 Want 'n dag in u voorhowe is beter as 'n duisend op enige ander plek!^d

Ek verkies om by die drum-pel van die huis van my God te staan eerder as om in die tente van goddeloosheid te bly.

11 Want Jehovah God is 'n son^e en 'n skild.^f

Hy gee sy goedkeuring en eer.

Jehovah sal niks goeds terughou van dié wat 'n weg van integriteit* volg nie.^g

12 O Jehovah van die leërmagte, gelukkig is die mens wat op u vertrou.^h

Vir die musiekleier. Van die seuns van Korag.ⁱ 'n Melodie.

85 U was goed vir u land, o Jehovah.^j

U het dié van Jakob wat gevange geneem is, teruggebring.^k

2 U het die oortreding van u volk vergewe.

U het al hulle sondes vergewe.*^l (Sela)

3 U het al u woede teruggehou.

U het van u gloeiende woede af weggedraai.^m

84:9 *Of moontlik "Kyk na ons skild, o God". 84:11 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. 85:2 *Lett. "bedek".

- 4 Laat ons weer u goedkeuring geniet,* o God van ons redding, en laat vaar u woede teen ons.^a
- 5 Sal u vir ewig vir ons kwaad wees?^b
Sal u u woede van geslag tot geslag laat aanhou?
- 6 Sal u ons nie weer nuwe krag gee, sodat u volk vreugde in u kan vind nie?^c
- 7 Betoon u lojale liefde aan ons, o Jehovah,^d en red ons.
- 8 Ek sal luister na wat die ware God, Jehovah, sê, want hy sal oor vrede praat met sy volk^e en sy lojales, maar laat hulle tog nie weer te veel selfvertroue kry nie.^f
- 9 Sy redding is beslis naby dié wat hom vrees,^g sodat sy heerlijkheid in ons land kan woon.
- 10 Lojale liefde en getrouheid sal ontmoet.
Regverdigheid en vrede sal mekaar soen.^h
- 11 Getrouheid sal uit die aarde spruit, en regverdigheid sal uit die hemel afkyk.ⁱ
- 12 Ja, Jehovah sal gee wat goed is,^{*j} en ons land sal sy opbrengs lewer.^k
- 13 Regverdigheid sal voor hom uit gaan^l en 'n pad vir sy voetstappe maak.

ⁿ Gebed van Dawid.

86 Skenk aandag aan* my, o Jehovah, en antwoord my,

85:4 *Of "Bring ons terug". 85:12 *Of "sal voorspoed gee". 86:1 *Of "Buig neer en luister na".

HFST. 85

a Ps 80:3, 4
b Ps 74:1
Ps 79:5
c Esr 3:11
Jer 33:10, 11
d Klg 3:22
e Jes 57:19
f De 8:17, 18
Ps 78:7
g Jes 46:13
h Ps 72:3
Jes 32:17
i Jes 26:9
Jes 45:8
j Ps 84:11
Jak 1:17
k Le 26:4
Ps 67:6
Jes 25:6
Jes 30:23
l Ps 89:14

Tweede kol.

HFST. 86

a Ps 34:6
Jes 66:2
b Ps 37:28
c 2Kr 16:9
d Ps 57:1
e Ps 25:5
f Ps 25:8
Ps 145:9
Lu 18:19
g Jes 55:7
Mi 7:18
h Ps 130:7
i Ps 17:1
j Ps 18:6
k Ps 116:1
l Eks 15:11
Ps 96:5
1Kor 8:5, 6
m De 3:24
Ps 104:24
n Jes 2:2, 3
Sag 14:9
Op 7:9, 10
o Op 15:4
p Ps 72:18
Da 6:27
q De 6:4
Ps 83:18
Jes 44:6
1Kor 8:4
r Ps 27:11
Ps 119:33
Ps 143:8
Jes 54:13
s Ps 43:3
t Pr 12:13
Jer 32:39
u Mt 22:37

- want ek kry swaar en is arm.^a
- 2 Bewaar my lewe, want ek is lojalaal.^b
Red u kneg wat op u vertrou,
want u is my God.^c
- 3 Wees genadig teenoor my, o Jehovah,^d want ek roep die hele dag lank na u.^e
- 4 Gee u kneg vreugde, want ek rig my tot u, o Jehovah.
- 5 Want u, o Jehovah, is goed^f en vergewe vryelik.^g
U is vol lojale liefde vir almal wat u aanroep.^h
- 6 Luister, o Jehovah, na my gebed,
en skenk aandag aan my smeking om hulp.ⁱ
- 7 Ek roep tot u op die dag wanneer ek in die moeilikheid is,^j
want u sal my antwoord.^k
- 8 Daar is niemand soos u onder die gode nie, o Jehovah,^l
daar is geen werke soos u werke nie.^m
- 9 Al die nasies wat u gemaak het,
sal kom en voor u neerbuig, o Jehovah,ⁿ
en hulle sal u naam verheerlik.^o
- 10 Want u is groot en doen wonderlike dinge.^p
U is God, u alleen.^q
- 11 Leer my u weg, o Jehovah.^r
Ek sal u weg van waarheid volg.^s
Verenig my hart* om u naam te vrees.^t
- 12 Ek prys u, o Jehovah my God, met my hele hart,^u

86:11 *Of "Gee my 'n onverdeelde hart".

en ek sal u naam vir ewig
verheerlik,

13 want u lojale liefde vir my
is groot,

en u het my lewe gered uit
die dieptes van die Graf.^{#a}

14 O God, vermete* manne
staan teen my op.^b

'n Bende wrede manne wil
my doodmaak,
en hulle het geen respek
vir u nie.^{#c}

15 Maar u, o Jehovah, is 'n God
wat genadig is en mede-
lye* betoon,

wat nie gou kwaad word nie
en vol lojale liefde en ge-
trouheid[#] is.^d

16 Skenk aandag aan my en
gee my u goedkeuring.^e

Gee u krag aan u kneg,^f
en red die seun van u slavin.

17 Gee vir my 'n teken* van u
goedheid,

sodat dié wat my haat dit
kan sien en kan skaam kry.
Want u, o Jehovah, is my
helpster en vertrooster.

Van die seuns van Korag.^g
'n Melodie. 'n Lied.

87 Sy stad se fondament is
op die heilige berge.^h

2 Jehovah het die poorte van
Sion meer liefⁱ

as al die tente van Jakob.

3 Glorieryke dinge word van
jou gesê, o stad van die
ware God.^j (Sela)

4 Ek sal Rahab^k en Babilon
noem onder dié wat my
ken.*

Kyk, Filiste'a en Tirus,
saam met Kus.

86:13; 88:3 [#]Of "Sjeool". Sien Woor-
delys. **86:14** *Iemand is vermetel as
hy iets doen wat hy nie die reg of
gesag het om te doen nie. [#]Of "het
u nie voor hulle gestel nie". **86:15;**
88:Ops; 88:3 *Sien Woordelys. **86:15**
[#]Of "waarheid". **86:17** *Of "bewys".
87:4 *Of "erken".

HFST. 86

a Job 33:28
Ps 56:13
Ps 116:8

b 2Sa 15:12

c Ps 10:4
Ps 54:3

d Eks 34:6
Ne 9:17
Jon 4:2

e Ps 25:16

f Ps 28:7

HFST. 87

g 2Kr 20:19

h Ps 48:1

i Ps 78:68
Ps 132:13

j Ps 48:2
Jes 60:14

k Ps 89:10
Jes 30:7

Tweede kol.

a 1Kr 15:16

b Ps 150:4

c Ps 46:4

HFST. 88

d 2Kr 20:19

e 1Kn 4:30, 31
1Kr 2:6

f Ps 27:9
Jes 12:2

g Ps 22:2

h 1Kn 8:30

i Ps 141:1

j Ps 71:20

k Jes 38:10

l Ps 143:7

m Ps 31:12

Hulle sal beskou word as dié
wat daar gebore is.

5 En van Sion sal daar gesê
word:

"Elkeen is in haar gebore."

En die Allerhoogste sal haar
stewig vestig.

6 Wanneer Jehovah die volke
opteken, sal hy skryf:

"Hierdie een is daar
gebore." (Sela)

7 Sangers^a en dié wat sirkel-
dansa^b doen, sal sê:

"Al my fonteine is in jou."^{#c}

'n Lied. 'n Melodie van die seuns
van Korag.^d Vir die musiekleier: In
die styl van Mahalat,* vir beurtsang.
Maskil* van Heman,^e die Esrahiet.

88 O Jehovah, die God van
my redding,^f

in die dag roep ek uit,

en in die nag kom ek

voor u.^g

2 Laat my gebed u bereik.^h

Skenk aandag aan* my hulp-
geroep.ⁱ

3 Want my siel* is met ramp-
spoed gevul,^j

en my lewe is op die randjie
van die Graf.^{#k}

4 Ek word reeds beskou as
iemand wat na die graf

afgaan.^l

Ek het 'n hulpelose man*
geword.^m

5 wat tussen die dooies
gelos is,

soos dié wat doodgemaak is
en in 'n graf lê,

aan wie u nie meer dink nie
en wat van u sorg*

afgesny is.

6 U het my in die diepste put
gesit,

in donker plekke, in 'n diep
afgrond.

87:7 *Of "Jy is vir my die bron van al-
les". **88:2** *Of "Buig neer en luister
na". **88:4** *Of "soos 'n man sonder
krag". **88:5** *Lett. "hand".

- 7 U woede rus swaar op my,^a
en u oorweldig my met u
brekende golwe. (*Sela*)
- 8 U het dié wat my ken, ver
van my af laat weggaan.^b
U het my iets afskuweliks
vir hulle gemaak.
Ek is vasgevang en kan nie
ontsnap nie.
- 9 My oog het swak geword
omdat ek swaarkry.^c
Ek roep die hele dag lank
tot u, o Jehovah.^d
Ek strek my hande na u toe
uit.
- 10 Sal u vir die dooies wonders
doen?
Kan dié wat magteloos in die
dood is, opstaan om u te
loof?^e (*Sela*)
- 11 Sal u lojale liefde in die graf
bekend gemaak word,
u getrouheid in die plek van
vernietiging?*
- 12 Sal u wonders in die duister-
nis bekend wees,
of u regverdigheid in die
land waar alles vergeet is?^f
- 13 Maar ek roep nog steeds tot
u om hulp, o Jehovah.^g
Elke oggend bereik my
gebed u.^h
- 14 Hoekom verwerp u my,
o Jehovah?ⁱ
Hoekom draai u u gesig weg
van my af?^j
- 15 Van jongs af
kry ek swaar en is die dood
naby.^k
Ek is lamgeslaan as gevolg
van die verskriklike dinge
wat u my laat deurmaak.
- 16 U brandende woede oor-
weldig my,^l
en verskriklike dinge wat
van u af kom, vernietig my.
- 17 Hulle omring my die hele
dag lank soos water.

88:11 *Of "in Abaddon".

HFST. 88

- a Ps 90:7
Ps 102:10
- b Job 19:13, 19
Ps 31:11
Ps 142:4
- c Job 17:7
Ps 42:3
Klg 3:49
- d Ps 55:17
- e Job 14:14
Ps 115:17
Jes 38:18
- f Pr 2:16
Pr 8:10
Pr 9:5
- g Ps 46:1
- h Ps 55:17
Ps 119:147
- i Ps 43:2
- j Job 13:24
Ps 13:1
- k Job 17:1
- l Ps 102:10

Tweede kol.

- a Job 19:13
Ps 31:11
Ps 38:11
Ps 142:4

HFST. 89

- b 1Kn 4:30, 31
1Kr 2:6
- c 1Kr 16:41
Jes 54:10
- d 2Sa 7:8
1Kn 8:16
Lu 1:32, 33
- e Ps 132:11
Ese 34:23
Ho 3:5
Joh 7:42
- f 1Kr 17:11
Op 22:16
- g 2Sa 7:12, 13
Heb 1:8
- h Ps 40:5
Ps 71:19
- i Job 38:7
- j Jes 6:2, 3
- k Da 7:9, 10
- l 1Sa 2:2
Ps 84:12
- m De 32:4

Hulle kom van alle kante*
teen my.

- 18 U het my vriende en ge-
liefdes ver van my af laat
weggaan.^a
Die duisternis het my gesel-
skap geword.
Maskil.* Van Etan,^b die Esrahiet.
- 89 Ek sal vir ewig van Jeho-
vah se lojale liefde sing.
Met my mond sal ek u ge-
trouheid aan alle geslagte
bekend maak.
- 2 Want ek het gesê: "Lojale
liefde sal vir ewig duur,"^c
en u het u getrouheid stewig
gevestig in die hemel."
- 3 "Ek het 'n verbond gemaak
met die een wat ek uitge-
kies het.^d
Ek het vir my kneg Dawid
gesweer:^e
- 4 'Ek sal jou nageslag* tot in
ewigheid stewig vestig,^f
en ek sal jou troon van ge-
slag tot geslag opbou.'"^g
(*Sela*)
- 5 Die hemele prys u wonders,
o Jehovah,
ja, u getrouheid in die ge-
meente van die heiliges.
- 6 Want wie in die hemelruim
kan met Jehovah vergelyk
word?^h
Wie onder die seuns van
Godⁱ is soos Jehovah?
- 7 Die vergadering* van heili-
ges het groot ontsag vir
God.^j
Hy is groot en ontsagwek-
kend vir almal om hom.^k
- 8 O Jehovah, God van die
leërmagte,
wie is magtig soos u, o Jah?^l
U is getrou in alles wat u
doen.^m
- 88:17 *Of moontlik "tegelykertyd".
89:Ops *Sien Woordelys. 89:2 *Of
"opgebou word". 89:4 *Lett. "saad".
89:7 *Of "raad".

- 9 U regeer oor die onstuimigheid van die see.^a
Wanneer sy golwe opkom, laat u hulle bedaar.^b
- 10 U het Rahab^c verslaan en doodgemaak.^d
U het u vyande met u sterk arm verstrooi.^e
- 11 Die hemel behoort aan u, en die aarde ook.^f
Die vrugbare land en alles daarop^g – u het dit gevestig.
- 12 Die noorde en die suide – u het dit geskep.
Tabor^h en Hermonⁱ prys u naam met vreugde.
- 13 U arm is magtig,^j
U hand is sterk.^k
U regterhand is hoog opgelig.^l
- 14 Regverdigheid en geregtigheid is die fondament van u troon.^m
Lojale liefde en getrouheid staan voor u.ⁿ
- 15 Gelukkig is die volk wat die uitroepe van vreugde ken.^o
O Jehovah, hulle geniet u goedheid.*
- 16 In u naam vind hulle die hele dag vreugde, en deur u regverdigheid word hulle verheerlik.
- 17 Want u is hulle heerlikheid en hulle krag,^p
en deur u goedkeuring kry ons groter krag.*^q
- 18 Want ons skild behoort aan Jehovah.
Ons koning behoort aan die Heilige van Israel.^r
- 19 In daardie tyd het u in 'n visioen met u lojales gepraat en gesê:

89:15 * Lett. "hulle wandel in die lig van u gesig". 89:17 * Lett. "word ons horing opgelig".

HFST. 89

- a Jer 31:35
b Ps 65:7
Ps 107:29
c Jes 30:7
d Eks 14:26
Eks 15:4
e Eks 3:20
De 4:34
Lu 1:51
f 1Kor 10:26
g 1Kr 29:11
Ps 50:12
h Jos 19:22, 23
i De 3:8
Jos 12:1
j Eks 6:6
k Eks 13:3
l Ps 44:3
m De 32:4
Ps 71:19
Op 15:3
n Eks 34:6
Jer 9:24
o Nu 10:10
Ps 98:6
p Ps 28:7
q 1Sa 2:10
r Ps 2:6

Tweede kol.

- a 1Sa 18:14
b 2Sa 7:8
c Han 13:22
d 1Sa 16:12, 13
Han 10:38
e Ps 80:17
Jes 42:1
f 1Kr 17:9
g 2Sa 3:1
2Sa 7:9
h Ps 110:1
i 2Sa 7:15
1Kr 17:13
Han 13:34
j 1Kn 4:21
Ps 72:8
k 2Sa 22:47
Ps 18:2
l Ps 2:7
Heb 1:5
m 1Ti 6:15
Op 1:5
Op 19:16
n Han 13:34
o 2Sa 23:5
Ps 89:34
p Jes 9:7
Jer 33:17
Heb 1:8

- "Ek het krag aan 'n sterk man gegee.^a
Ek het die een wat onder die volk uitgekies is, verheerlik.^b
- 20 Ek het my kneg Dawid gevind.^c
Met my heilige olie het ek hom gesalf.^d
- 21 My hand sal hom ondersteun,^e
en my arm sal hom versterk.
- 22 Geen vyand sal enigiets van hom eis nie,
en geen onregverdige persoon sal hom onderdruk nie.^f
- 23 Ek sal sy vyande voor hom vernietig^g
en dié wat hom haat, doodmaak.^h
- 24 My getrouheid en lojale liefde is met hom,ⁱ
en in my naam sal hy groter krag kry.*
- 25 Ek sal sy hand* oor die see plaas,
en sy regterhand oor die riviere.^j
- 26 Hy sal tot my roep: 'U is my Vader,
my God en die Rots van my redding.'^k
- 27 En ek sal hom die eersgeborene maak,^l
die hoogste van die konings van die aarde.^m
- 28 Ek sal my lojale liefde vir ewig aan hom betoon,ⁿ
en my verbond met hom sal nooit tot 'n einde kom nie.^o
- 29 Ek sal sy nageslag* vir ewig laat bestaan,
en sy troon solank as wat die hemel daar is.^p
- 30 As sy kinders my wet verlaat

89:24 * Lett. "sal sy horing opgelig word". 89:25 * Of "gesag". 89:29 * Lett. "saad".

- en my bevele* nie gehoor-
saam nie,
31 as hulle my wetsbepalings
verbreek
 en my gebooië nie gehoor-
saam nie,
32 dan sal ek hulle met 'n stok
straf vir hulle ongehoor-
saamheid*^a
 en met slae vir hulle
oortreding.
33 Maar ek sal nooit my lojale
liefde van hom af weg-
neem^b
 of my belofte verbreek nie.*
34 Ek sal nie my verbond
verbreek nie.^c
 en ek sal nie verander wat
my lippe gesê het nie.^d
35 Ek het eens en vir altyd in
my heiligheid gesweer.
 Ek sal nie vir Dawid leuens
vertel nie.^e
36 Sy nageslag* sal vir ewig
bestaan,^f
 en sy troon solank as wat
die son voor my is.^g
37 Soos die maan sal dit vir
ewig stewig gevestig wees
as 'n getroue getuie in die
hemelruim." (*Sela*)
38 Maar u het hom verstoot en
verwerp.^h
 U het woedend geword vir
u gesalfde.
39 U het die verbond met u
kneg verwerp.
 U het sy kroon onheilig
deur dit op die grond te
gooi.
40 U het al sy klipmure*
afgebreek.
 U het sy vestings verwoes.
41 Almal wat verbygaan, het
hom beroof.
 Sy bure het hom bespot.ⁱ

89:30 *Of "oordele". **89:32** *Of "op-standigheid". **89:33** *Lett. "of ontrou wees aan my getrouheid nie". **89:36** *Lett. "saad". **89:40** *Of "klipskuilings".

HFST. 89

a 2Sa 7:14
1Kn 11:14, 31

b 2Sa 7:15
1Kn 11:32, 36

c Jer 33:20, 21

d Jak 1:17

e Nu 23:19
Ps 132:11

f 2Sa 7:16, 17
Ps 72:17
Jes 11:1
Jer 23:5
Joh 12:34
Op 22:16

g Da 7:14
Lu 1:32, 33

h 1Kr 28:9

i De 28:37

Tweede kol.

a De 28:25

b Ps 13:1

c Job 7:7
Ps 39:5

d Job 30:23
Ps 49:7,9

e 2Sa 7:12-15
Ps 132:11
Jes 55:3

f Ps 41:13
Ps 72:18

- 42** U het sy teenstanders laat
oorwin.*^a
 U het al sy vyande vreugde-
vol laat word.
43 U het ook sy swaard terug-
gedryf,
 en u het hom nie in die
geveg ondersteun nie.
44 U het 'n einde gemaak aan
sy prag
 en het sy troon op die grond
neergegooi.
45 U het die dae van sy jeug
kortgeknip.
 U het hom met skande
gekleë. (*Sela*)
46 Hoe lank, o Jehovah, sal u
self verberg? Vir ewig?^b
 Sal u woede aanhou brand
soos 'n vuur?
47 Onthou tog hoe kort my
lewe is!^c
 Het u alle mense verniet
geskep?
48 Watter man kan lewe sonder
om ooit die dood te sien?^d
 Kan hy homself* red uit die
mag van die Graf?^e (*Sela*)
49 Waar is u vroeëre dade van
lojale liefde, o Jehovah,
wat u in u getrouheid aan
Dawid met 'n eed belowe
het?^e
50 Dink aan hoe u knegte uit-
getart word, o Jehovah,
aan hoe ek die getart van
al die volke moet ver-
duur.*
51 Dink aan hoe u vyande die
spot gedryf het, o Jeho-
vah,
 aan hoe hulle elke voetstap
van u gesalfde beledig het.
52 Mag Jehovah vir ewig geloof
word. Amen en Amen.^f

89:42 *Lett. "die regterhand van sy teenstanders opgelig". **89:48** *Of "sy siel". "Lett. "die hand van Sjeool". Sien Wordelys. **89:50** *Lett. "in my boesem dra".

BOEK VIER
(Psalm 90-106)

'n Gebed van Moses,
die man van die ware God.^a

- 90** O Jehovah, u was van
geslag tot geslag ons
woonplek.^{*b}
- 2** Voordat die berge gebore is
en u die aarde en die vrug-
bare land gemaak het,^{*c}
ja, van ewigheid tot ewig-
heid is u God.^d
- 3** U laat die sterflike mens
tot stof terugkeer.
U sê: "Keer terug, o mense-
kinders."^e
- 4** Want 'n duisend jaar is in
u oë net soos gister wan-
neer dit verby is,^f
net soos 'n nagwaak.
- 5** U vee hulle weg,^g en hulle
woed maar net soos slaap.
In die oggend is hulle soos
gras wat uitspruit.^h
- 6** In die oggend bring dit
bloeiels voort en word
dit hernu,
maar in die aand verlep dit
en droog dit uit.ⁱ
- 7** Want ons is verteer deur u
woede,^j
en ons is baie bang as gevolg
daarvan.
- 8** U plaas ons oortredings
voor u.^{*k}
Ons geheime word bekend
deur die lig van u gesig.^l
- 9** Ons dae* verdwyn as gevolg
van u woede,
en ons jare kom tot 'n einde
soos 'n fluistering.^m
- 10** Die dae van ons lewe is
70 jaar,
of 80^m as iemand besonder
sterk is.*

90:1 *Of moontlik "ons skuilplek".
90:2 *Of "asof met geboortepyne
voortgebring het". **90:8** *Of "U is
bewus van ons oortredings". **90:9**
*Of "lewe". #Of "sug". **90:10** *Of
"weens besondere krag".

HFST. 90

- a De 33:1
b De 33:27
Ps 91:1
c Jer 10:12
d Ps 93:2
Jes 40:28
Hab 1:12
1Ti 1:17
Op 1:8
Op 15:3
e Ge 3:19
Ps 104:29
Ps 146:3,4
Pr 3:20
Pr 12:7
f 2Pe 3:8
g Job 9:25
h Ps 103:15
1Pe 1:24
i Job 14:2
j Nu 17:12,13
De 32:22
k Jer 16:17
l Spr 24:12
Heb 4:13
m 2Sa 19:34,35

Tweede kol.

- a Job 14:10
Ps 78:39
Lu 12:20
Jak 4:13,14
b Jes 33:14
Lu 12:5
c Ps 39:4
d Ps 6:4
e Ps 89:46
f De 32:36
Ps 135:14
g Ps 36:7
Ps 51:1
Ps 63:3
Ps 85:7
h Ps 149:2
i Ps 30:5
j De 2:14
k Nu 14:31
Jos 23:14
l Ps 127:1
Spr 16:3
Jes 26:12
1Kor 3:7

HFST. 91

- m Ps 27:5
Ps 31:20
Ps 32:7
n Ps 57:1
o Ps 18:2
Spr 18:10
p Spr 3:5

Maar dit is vol probleme en
hartseer.

Dit gaan vinnig verby, en
dan is* ons weg.^a

- 11** Wie kan die krag van u
woede verstaan?

U woede is so groot soos die
vrees wat u verdien.^b

- 12** Leer ons om ons dae so
te tel^c

dat ons 'n hart van wysheid
kan verkry.

- 13** Keer terug, o Jehovah!^d Hoe
lank sal dit aanhou?^e

Voel jammer vir u knegte.^f

- 14** Versadig ons in die oggend
met u lojale liefde,^g

sodat ons ons hele lewe lank
van vreugde kan uitroep
en kan bly wees.^h

- 15** Gee ons net soveel dae
van vreugde as die dae van
swaarkry wat u ons laat
ondervind het,ⁱ

as die jare van rampspoed
wat ons ondervind het.^j

- 16** Mag u knegte u dade sien,
en mag hulle seuns u prag
sien.^k

- 17** Mag ons die goedkeuring
van Jehovah ons God
geniet.

Mag u die werk van ons
hande suksesvol maak.*

Ja, maak die werk van ons
hande suksesvol.^l

- 91** Elkeen wat in die geheime
plek van die Allerhoog-
ste woon,^m

sal in die skaduwee van die
Almagtige bly.ⁿ

- 2** Ek sal vir Jehovah sê: "U is
my skuilplek* en my ves-
ting,^o
my God, op wie ek vertrou."^p

90:10 *Lett. "vlieg". **90:17** *Of "ste-
wig vestig". **91:2** *Of "toevlug".

- 3** Want hy sal jou uit die strik van die voëlvanger red, van die vreeslike siekte wat vernietig.
- 4** Met sy vlerke sal hy jou bedek,* en jy sal beskerming daar- onder kom soek.^a Sy getrouheid^b sal 'n groot skild^c en 'n beskermende muur[#] wees.
- 5** Jy sal nie bang wees vir die verskriklike dinge van die nag^d of vir die pyl wat in die dag vlieg^e
- 6** of vir die vreeslike siekte wat in die donker rond- sluip of vir die vernietiging wat in die middel van die dag skade aanrig nie.
- 7** 'n Duisend sal langs jou val, en tienduizend aan jou regterhand, maar dit sal nie naby jou kom nie.^f
- 8** Jy sal dit net met jou oë sien en 'n ooggetuie wees van hoe die goddeloses gestraf word.
- 9** Omdat jy gesê het: "Jehovah is my skuilplek,"* het jy die Allerhoogste jou woonplek[#] gemaak.^g
- 10** Geen ramp sal jou tref nie,^h en geen plaag sal naby jou tent kom nie.
- 11** Want hy sal sy engele beveel om jou te beskerm oral waar jy gaan.ⁱ
- 12** Hulle sal jou op hulle hande dra,^k sodat jy nie jou voet teen 'n klip stamp nie.^l
- 13** Op die jong leeu en die kobra sal jy trap.

91:4 *Of "toegang tot jou versper".
[#]Of "n skans". **91:9** *Of "toevlug".
[#]Of moontlik "vesting; skuilplek".

HFST. 91

- a Eks 19:4
De 32:11
Rut 2:12
- b Ps 57:3
Ps 86:15
- c Ge 15:1
Ps 84:11
- d Ps 121:4, 6
Jes 60:2
- e Ps 64:2, 3
Jes 54:17
- f Eks 12:13
- g Ps 71:3
Ps 90:1
- h Spr 12:21
- i 2Kn 6:17
Ps 34:7
Mt 18:10
- j Eks 23:20
Heb 1:7, 14
- k Jes 63:9
- l Ps 37:24
Mt 4:6
Lu 4:10, 11

Tweede kol.

- a Lu 10:19
- b Ps 18:2
- c Ps 9:10
Spr 18:10
- d Ro 10:13
Heb 5:7
- e Ps 138:7
Jes 43:2
- f Ps 21:1, 4
Spr 3:1, 2
- g Jes 45:17

HFST. 92

- h Ps 50:23
- i Jes 63:7
- j 1Kr 15:16
1Kr 25:6
2Kr 29:25
- k Ps 40:5
Ps 145:4
Pr 3:11
Op 15:3

l Job 26:14
Ro 11:33

m Ps 14:1
1Kor 2:14

- Jy sal die maanhaarleeu en die groot slang vertrap.^a
- 14** God het gesê: "Omdat hy lief is vir my,* sal ek hom red.^b Ek sal hom beskerm omdat hy my naam ken."^c
- 15** Hy sal my aanroep, en ek sal hom antwoord.^d Ek sal met hom wees in moeilike tye.^e Ek sal hom red en hom verheerlik.
- 16** Ek sal hom met 'n lang lewe beloon,^f en ek sal hom my reddings- dade* laat sien."^g

'n Melodie. 'n Lied vir die Sabbatdag.

- 92** Dit is goed om Jehovah te dank^h en om liedere te sing* om u naam te loof, o Allerhoog- ste,
- 2** om in die oggend u lojale liefde te verkondig,ⁱ en u getrouheid in die nagte,
- 3** begelei deur 'n tiensnarige instrument en 'n luit en deur die lieflike klank van 'n harp.^j
- 4** Want u het my vreugdevol gemaak, o Jehovah, as gevolg van u dade. Weens die werke van u hande roep ek uit van vreugde.
- 5** Hoe groot is u werke, o Jehovah!^k Hoe diep is u gedagtes tog!^l
- 6** Onverstandige mense kan dit nie ken nie, en dwase mense kan dit nie verstaan nie.^m
- 7** Wanneer die goddeloses soos onkruid* uitspruit

91:14 *Let. "hy hom aan my verbind het". *Of "erken". **91:16** *Of "red- ding deur my". **92:1** *Of "musiek te maak". **92:7** *Of "gras".

en al die mense wat slegte dinge doen, floreer, is dit sodat hulle vir ewig vernietig kan word.^a

- 8** Maar u is vir ewig hoog bo almal, o Jehovah.
- 9** Sien die ondergang van u vyande, o Jehovah. Sien hoe u vyande vernietig sal word. Almal wat slegte dinge doen, sal verstrooi word.^b
- 10** Maar u sal my krag gee* soos dié van 'n wilde bul. Ek sal vars olie in my vel invryf.^c
- 11** My oë sal die ondergang van my vyande sien.^d My ore sal hoor van die ondergang van die goddelose mense wat my aanval.
- 12** Maar die regverdiges sal floreer soos 'n palmboom en groot word soos 'n sederboom in die Li'banon-berge.^e
- 13** Hulle is geplant in die huis van Jehovah. Hulle floreer in die voorhove van ons God.^f
- 14** Sels wanneer hulle oud is,* sal hulle nog floreer.^g Hulle sal nog steeds sterk[#] en vol lewe wees^h
- 15** en verkondig dat Jehovah doen wat reg is. Hy is my Rots,ⁱ in wie daar geen onregverdigheid is nie.
- 93** Jehovah het Koning geword!^j Hy is met heerlikheid geklee. Jehovah is geklee met krag. Hy dra dit soos 'n lyfband. Die aarde* is stewig gevestig.

92:10 *Lett. "my horing oplik".
92:14 *Of "gedurende hulle grysheid". #Lett. "vet". **93:1** *Of "vrugbare land".

HFST. 92

a Ps 37:35, 38
Jer 12:1-3

b De 28:7
Ps 68:1

c Ps 23:5

d Ps 37:34

e Ps 52:8
Jes 61:3
Jes 65:22

f Ps 100:4

g Ps 71:18
Spr 16:31
Jes 40:31
Jes 46:4

h Jer 17:7, 8

i De 32:4

HFST. 93

j Ps 96:10
Ps 97:1
Jes 52:7
Op 11:17
Op 19:6

Tweede kol.

a Ps 145:13

b Ps 90:2

c Ps 8:1
Ps 76:4

d Ps 65:7

e Ps 19:7
Ps 119:111

f Ese 43:12
1Pe 1:16

HFST. 94

g De 32:35
Na 1:2
Ro 12:19

h Ge 18:25
Han 17:31

i Ps 31:23

j Ps 73:3
Ps 74:10

k Ps 14:4

l Ps 59:2, 7
Ese 8:12

Dit kan nie beweeg word* nie.

- 2** U troon is lank gelede stewig gevestig.^a U het nog altyd bestaan.^b
- 3** Die riviere het onstuimig geword, o Jehovah. Die riviere het onstuimig geword en gedruis. Die riviere bly onstuimig en hou aan dreun.
- 4** Jehovah is indrukwekkend in die hoogtes,^c bo die geluid van baie waters, magtiger as die branders van die see.^d
- 5** U herinneringe is baie betroubaar.^e Heiligheid versier* u huis,^f o Jehovah, vir altyd.

94 O God van wraak, Jehovah,^g

o God van wraak, openbaar u heerlikheid!

- 2** Staan op, o Regter van die aarde.^h Gee die hoogmoediges hulle verdiende loon.ⁱ
- 3** Hoe lank sal die goddeloses, o Jehovah, hoe lank sal die goddeloses aanhou om van vreugde uit te roep?^j
- 4** Hulle babbel en praat hoogmoedig. Almal wat slegte dinge doen, spog oor hulleself.
- 5** Hulle vertrap u volk, o Jehovah,^k en hulle onderdruk u erfdeel.
- 6** Hulle maak die weduwee en die uitlander dood, en hulle vermoor die weeskinders.*
- 7** Hulle sê: "Jah sien dit nie."^l

93:1 *Of "wankel". **93:5** *Of "is gepas vir". **94:6** *Lett. "vaderlose seuns".

Die God van Jakob skenk
nie aandag daaraan nie.”^a

8 Verstaan tog, o onverstandige mense.

O julle dwase mense, wanneer sal julle ooit insig toon?^b

9 Kan die Een wat die oor maak* het, nie hoor nie?
Kan die Een wat die oog gevorm het, nie sien nie?^c

10 Kan die Een wat die nasies dissiplineer, nie tereg wys nie?^d

Hy is die Een wat kennis aan mense oordra!^e

11 Jehovah ken die gedagtes van mense.

Hy weet dat dit maar net soos asem is.^f

12 Gelukkig is die man wat deur u gedissiplineer word, o Jah,^g wat deur u uit u wet geleer word,^h

13 sodat u hom kalmte kan gee in dae van rampspoed, totdat 'n put vir die goddeloses gegrawe is.ⁱ

14 Want Jehovah sal sy volk nie in die steek laat nie,^j en hy sal sy erfdeel nie verlaat nie.^k

15 Want die oordeel sal weer regverdig wees, en al die opregtes van hart sal dit volg.

16 Wie sal vir my opstaan teen die goddeloses?

Wie sal vir my opkom teen dié wat slegte dinge doen?

17 As Jehovah nie my helper was nie, sou ek gou gesterf het.^l

18 Toe ek gesê het: “My voet gly,”

het u lojale liefde, o Jehovah, my bly ondersteun.^m

94:9 *Lett. “geplant”. **94:17** *Lett. “in stilte gewoon het”.

HFST. 94

a Ps 10:4, 11
Ps 73:3, 11
Jes 29:15

b Spr 1:22

c Ps 34:15

d Ps 9:5
Jes 10:12

e Ps 25:8
Jes 28:26
Joh 6:45

f 1Kor 3:20

g Ps 119:71
Spr 3:11
1Kor 11:32
Heb 12:5, 6

h Ps 19:8

i Ps 55:23
2Pe 2:9

j 1Sa 12:22
Ps 37:28
Heb 13:5

k De 32:9

l Ps 124:2, 3
2Kor 1:10

m 1Sa 2:9
Ps 37:24
Ps 121:3
Klg 3:22

Tweede kol.

a Ps 86:17
Flp 4:6, 7

b Jes 10:1
Da 6:7
Han 5:27, 28

c Ps 59:3

d 1Kn 21:13

e Ps 18:2

f Spr 5:22
2Te 1:6

g 1Sa 26:9, 10

HFST. 95

h 2Sa 22:47

i Ps 50:23
Ps 100:4

j Eks 18:11
Jer 10:10
1Kor 8:5, 6

k Am 4:13
Am 9:3

19 Toe sorg* my oorweldig het,^a het u my vertrous en gekalm meer.^{Δa}

20 Kan 'n troon* van goddeloosheid aan u verbind wees terwyl dit moeilikheid maak in die naam van die wet?^{#b}

21 Hulle maak wrede aanvalle op die regverdige^c en veroordeel die onskuldige tot die dood.^{*d}

22 Maar Jehovah sal vir my 'n veilige skuilplek* word. My God is die rots waar ek skuil.^e

23 Hy sal hulle goddelose dae op hulle laat neerkom.^f Hy sal 'n einde aan hulle maak* deur middel van hulle eie goddeloosheid. Jehovah ons God sal 'n einde aan hulle maak.^{*g}

95 Kom, laat ons van vreugde uitroep voor Jehovah!

Laat ons van blydschap uitroep voor ons Rots van redding.^h

2 Laat ons voor hom kom om hom te dank.ⁱ

Laat ons van vreugde voor hom sing en juig.

3 Want Jehovah is 'n groot God, 'n groot Koning bo alle ander gode.^j

4 In sy hand is die dieptes van die aarde.

Die pieke van die berge behoort aan hom.^k

94:19 *Of “verontrustende gedagtes”. #Of “binne-in my baie geword het”. ΔOf “het u vertroosting my siel gestreef”. **94:20** *Of “heersers; regters”. #Of “deur verordening”. **94:21** *Lett. “en verklaar die bloed van die onskuldige skuldig (goddeloos)”. **94:22** *Of “veilige hoogte”. **94:23** *Lett. “hulle stilmaak”.

- 5 Die see, wat hy gemaak het, behoort aan hom,^a en sy hande het die droë land gevorm.^b
- 6 Kom, laat ons aanbid en neerbuig. Laat ons kniel voor Jehovah ons Maker.^c
- 7 Want hy is ons God, en ons is die volk van sy weiding, die skape onder sy sorg.^{*d} Vandag, as julle na sy stem luister,^e
- 8 moet julle nie julle hart verhard soos by Me'riba* nie,^f soos op die dag van Massa[#] in die wildernis,^g
- 9 toe julle voorvaders my getoets het nie.^h Hulle het my uitgedaag, al het hulle my werke gesien.ⁱ
- 10 Daardie geslag was 40 jaar lank vir my iets walgliks, en ek het gesê: "Hulle is 'n volk wat altyd in hulle harte afdwaal. Hulle het nie my weë leer ken nie."
- 11 Ek het dus in my woede gesweer: "Hulle sal nie in my rus ingaan nie."^j
- 96** Sing vir Jehovah 'n nuwe lied.^k Sing vir Jehovah, almal op aarde!^l
- 2 Sing vir Jehovah, en loof sy naam. Verkondig dag ná dag die goeie nuus van sy redding.^m
- 3 Maak sy heerlikheid onder die nasies bekend, sy wonderlike werke onder al die volke.ⁿ

95:7 *Lett. "van sy hand". 95:8 *Bete-
teken "stryery". #Beteeken "toets; be-
proewing".

HFST. 95

- a Jer 5:22
b Ge 1:9, 10
c Ps 100:3
Mt 4:10
Op 14:7
d Ps 23:1
Jes 40:11
e Heb 3:7-11
Heb 4:7
f Heb 3:15
g Eks 17:7
h Ps 78:18
1Kor 10:9
i Nu 14:22, 23
j Ge 2:3
Nu 14:22, 23
Heb 4:3

HFST. 96

- k Ps 33:3
Ps 40:3
Ps 98:1
Ps 149:1
Jes 42:10
l 1Kr 16:23-25
Ps 66:4
m Ps 40:10
Ps 71:15
Jes 52:7
n Mt 28:19
1Pe 2:9
Op 14:6

Tweede kol.

- a Ps 97:7
Jes 44:10
b 1Kr 16:26
1Kor 8:4
c Eks 24:9, 10
Jes 6:1-3
Ese 1:27, 28
Op 4:2, 3
d 1Kr 16:27
1Kr 29:11
e 1Kr 16:28-33
Ps 29:1
f Ps 29:2
Ps 72:19
g Ps 93:1
Ps 97:1
Op 11:15
Op 19:6
h Ps 67:4
Ps 98:9
i Ps 98:7
j Ps 65:13
k 1Kr 16:33

- 4 Jehovah is groot en verdien al die eer. Hy is ontsagwekkender as al die ander gode.
- 5 Al die gode van die volke is waardelose gode,^a maar Jehovah is die Een wat die hemel gemaak het.^b
- 6 Hy is omring deur majesteit* en heerlikheid.^c Krag en prag is in sy heiligdom.^d
- 7 Gee Jehovah wat hy verdien, o families van die volke. Gee Jehovah wat hy verdien weens sy heerlikheid en krag.^e
- 8 Gee Jehovah die eer wat sy naam verdien.^f Bring 'n geskenk en kom in sy voorhove in.
- 9 Buig voor Jehovah neer* in heilige klere.[#] Bewe voor hom, almal op aarde!
- 10 Verkondig onder die nasies: "Jehovah het Koning geword!^g Die aarde* is stewig gevestig. Dit kan nie beweeg word[#] nie. Hy sal die volke regverdig oordeel."^h
- 11 Laat die hemel vreugdevol wees, en laat die aarde bly wees. Laat die see en alles daarin dreun.ⁱ
- 12 Laat die veld en alles daarin vreugdevol wees.^j Laat al die bome van die woud ook van vreugde uitroep^k

96:6 *Of "waardigheid". 96:9 *Of "Aanbid Jehovah". #Of moontlik "as gevolg van die prag van sy heiligheid". 96:10 *Of "vrugbare land". #Of "wankel". ΔOf "die regsak van die volke verdedig".

13 voor Jehovah, want hy kom.*
Hy kom om die aarde te oordeel.
Hy sal die bewoonde aarde^f met regverdigheid oordeel,^a
en die volke met sy getrouheid.^b

97 Jehovah het Koning geword!^c
Laat die aarde vreugdevol wees.^d
Laat die baie eilande bly wees.^e

2 Daar is digte, donker wolke reg rondom hom.^f
Regverdigheid en geregtigheid is die fondament van sy troon.^g

3 Vuur gaan voor hom uit^h en verteer sy vyande aan alle kante.ⁱ

4 Sy weerligstrale verlig die land.
Die aarde sien dit en bewe.^j

5 Die berge smelt soos was voor Jehovah,^k
voor die Here van die hele aarde.

6 Die hemel verkondig sy regverdigheid,
en al die volke sien sy heerlikheid.^l

7 Laat almal wat enige beeld dien, verneder word,^m
dié wat oor hulle waardelose gode spog.ⁿ
Buig neer voor* hom, alle gode.^o

8 Sion hoor dit en word bly.^p
Die dorpe* van Juda is vreugdevol
as gevolg van u oordele,
o Jehovah.^q

9 Want u, o Jehovah, is die Allerhoogste oor die hele aarde.

96:13 *Of "het gekom". ^fOf "die vrugbare land". 97:7 *Of "Aanbid". 97:8 *Lett. "dogters".

HFST. 96

a Ge 18:25
Ps 9:8
Ps 98:9
Han 17:31
2Pe 3:7
b De 32:4

HFST. 97

c Ps 96:10
Op 11:16, 17
Op 19:6
d Jes 49:13
e Jes 60:9
f Eks 20:21
g Ps 99:4
h Ps 50:3
Da 7:9, 10
i Na 1:2, 6
Mal 4:1
j Eks 19:16, 18
Ps 77:18
Ps 104:32
k Rig 5:5
Na 1:5
Hab 3:6
l Hab 2:14
m Jer 10:14
n Jes 37:19
o Eks 12:12
Eks 18:11
p Jes 51:3
q Ps 48:11

Tweede kol.

a Eks 18:11
Jes 44:8
b Ps 34:14
Ps 101:3
Ps 119:104
Ro 12:9
Heb 1:9
c Ps 37:28
Ps 145:20
d Da 3:28
Mt 6:13
e Ps 112:4
Spr 4:18
Jes 30:26
Mi 7:9

HFST. 98

f Ps 33:3
Ps 96:1
Ps 149:1
Jes 42:10
g Eks 15:11
Ps 111:2
h Eks 15:6
Jes 52:10
Jes 59:16
Jes 63:5
i Lu 2:30, 31
j Jes 5:16
k Lu 26:42
Lu 1:54, 55
l Jes 49:6
Han 28:28
Ro 10:18
m Ps 47:1
Ps 67:4
n Nu 10:10
1Kr 15:28
2Kr 29:27

U is ver bo al die ander gode.^a

10 O julle wat Jehovah liefhet,
haat wat sleg is.^b
Hy bewaar die lewe van sy lojalies.^c
Hy red hulle uit die hand* van die goddeloses.^d

11 Lig het geskyn vir die regverdige,^e
en blydskap vir die opregtes van hart.

12 Wees bly oor Jehovah,
o regverdiges,
en loof sy heilige naam.*

ⁿ Melodie.

98 Sing vir Jehovah 'n nuwe lied,^f

want hy het wonderlike dinge gedoen.^g
Sy regterhand, sy heilige arm, het gered.*^h

2 Jehovah het sy reddingⁱ bekend gemaak.

Hy het sy regverdigheid voor die nasies geopenbaar.^j

3 Hy het gedink aan sy lojale liefde en sy getrouheid aan die huis van Israel.^k
Al die eindes van die aarde het die redding deur* ons God gesien.^l

4 Roep van vreugde uit tot Jehovah, almal op die aarde.
Wees vrolik en roep van vreugde uit en sing lofliedere.*^m

5 Sing lofliedere* vir Jehovah terwyl daar op die harp gespeel word,
terwyl daar op die harp gespeel en gesing word.

6 Roep van vreugde uit voor die Koning, Jehovah,ⁿ

97:10 *Of "mag". 97:12 *Lett. "heilige gedagtenis". 98:1 *Of "het vir hom oorwinning verkry". 98:3 *Of "die oorwinning van". 98:4 *Of "maak musiek". 98:5 *Of "Maak musiek".

met die trompette en die geluid van die horing.

- 7 Laat die see en alles daarin dreun, die aarde* en dié wat daarop woon.
- 8 Laat die riviere hulle hande klap. Laat die berge saam van vreugde uitroep^a
- 9 voor Jehovah, want hy kom* om die aarde te oordeel. Hy sal die bewoonde aarde^a met regverdigheid oordeel,^b en die volke met geregtigheid.^c
- 99** Jehovah het Koning geword.^d Laat die volke bewe.

Hy sit op sy troon bo* die gerubs.^e Laat die aarde skud.

- 2 Jehovah is groot in Sion, en hy is hoog bo al die volke.^f
- 3 Laat hulle u groot naam prys,^g want dit is ontsagwekkend en heilig.
- 4 Hy is 'n magtige koning wat lief is vir geregtigheid.^h U het regverdigheid stewig gevestig. U het gesorg dat daar geregtigheid en regverdigheidⁱ in Jakob is.
- 5 Verheerlik Jehovah ons God,^j en buig neer* voor sy voetbank.^k Hy is heilig.^l
- 6 Moses en Aäron was onder sy priesters,^m en Samuel was onder dié wat sy naam aangeroep het.ⁿ

98:7 *Of "vrugbare land". 98:9 *Of "het gekom". #Of "die vrugbare land". 99:1 *Of moontlik "tussen". 99:5, 9 *Of "aanbid".

HFST. 98

- a Jes 44:23
b Ps 9:8
Han 17:31
c Ps 67:4
Ps 96:10
Ro 2:6

HFST. 99

- d Ps 93:1
Op 11:17
e Eks 25:22
f Ps 83:18
g Ps 8:1
Ps 148:13
Op 15:4
h Job 36:6
i De 10:17, 18
Jer 9:24
j Eks 15:2
k 1Kr 28:2
Ps 132:7
l Le 19:2
m Eks 24:6
Nu 14:19, 20
n 1Sa 7:9

Tweede kol.

- a Eks 15:24, 25
1Sa 15:10
b Eks 19:9
c Eks 40:16
1Sa 12:3
d De 9:19
e Mi 7:18
f Eks 34:6, 7
g Eks 15:2
h Ps 2:6
i 1Sa 2:2
Jes 6:3

HFST. 100

- j Ps 95:1, 2
Ps 98:4
k De 12:12
Ne 8:10
l De 6:4
m Ps 149:2
n Ps 95:6, 7
Ese 34:31
1Pe 2:25
o Ps 50:23
Ps 66:13
Ps 122:1, 2
p Ps 65:4
q Ps 96:2
Heb 13:15
r Ps 86:5
Lu 18:19
s Eks 34:6, 7
De 7:9
Ps 98:3

Hulle het Jehovah aangeroep, en hy het hulle geantwoord.^a

- 7 Hy het uit die wolkkolom met hulle gepraat.^b Hulle het sy herinneringe en die bevel wat hy vir hulle gegee het, gehoorsaam.^c
- 8 O Jehovah ons God, u het hulle geantwoord.^d U was 'n God wat hulle vergewe het,^e maar u het hulle gestraf* vir hulle sondige dade.^f
- 9 Verheerlik Jehovah ons God,^g en buig neer* voor sy heilige berg,^h want Jehovah ons God is heilig.ⁱ

'n Melodie van danksegging.

100 Roep van vreugde uit voor Jehovah, almal op die aarde.^j

- 2 Dien Jehovah met blydschap.^k Kom voor hom met uitroep van vreugde.
- 3 Erken* dat Jehovah God is.^l Hy is die Een wat ons gemaak het, en ons behoort aan hom.^m Ons is sy volk en die skape van sy weiveld.ⁿ
- 4 Gaan met danksegging by sy poorte in,^o en met lof in sy voorhove in.^p Dank hom, en loof sy naam.^q
- 5 Want Jehovah is goed.^r Sy lojale liefde duur vir ewig, en sy getrouheid van geslag tot geslag.^s

99:8 *Lett. "wraak uitgeoefen teen hulle". 100:3 *Of "Weet". #Of moontlik "ons het nie onself gemaak nie".

Van Dawid. 'n Melodie.

- 101** Ek sal sing oor lojale liefde en geregtigheid.
- Vir u, o Jehovah, sal ek lofliedere sing.*
- 2** Ek sal verstandig optree en 'n rein lewe lei.*
- Wanneer sal u na my toe kom?
- In my huis sal ek 'n weg van integriteit^a volg.
- 3** Ek sal niks wat waardeloos is, voor my oë stel nie.
- Ek haat die dade van dié wat afwyk van wat reg is.^b
- Ek sal niks met hulle te doen hê nie.*
- 4** 'n Slinkse hart is ver van my af.
- Ek sal nie aanvaar* wat sleg is nie.
- 5** Enigiemand wat sy naaste in die geheim belaster,^c sal ek stilmaak.*
- Enigiemand met hoogmoedige oë en 'n trotse hart sal ek nie verdra nie.
- 6** Ek sal my oog op die getroues van die aarde hou.
- Hulle sal by my woon.
- Die een wat 'n rein lewe lei,* sal voor my dien.
- 7** Geen bedrieglike persoon sal in my huis woon nie, en geen leuenaar sal in my teenwoordigheid* staan nie.
- 8** Elke oggend sal ek al die goddeloses van die aarde stilmaak*

101:1 *Of "musiek maak". **101:2** *Of "en met integriteit optree". Sien Woordelys. *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. **101:3** *Of "Hulle dade kleef my nie aan nie". **101:4** *Lett. "ken". **101:5, 8** *Of "verwyder". **101:6** *Of "'n weg van integriteit volg". Sien Woordelys. **101:7** *Lett. "voor my oë".

HFST. 101

a 1Kn 9:4
Ps 78:70, 72

b Ps 97:10

c Spr 20:19

Tweede kol.

a Spr 20:8

HFST. 102

b Ps 61:2
Ps 142:2c Ps 55:1
Da 9:17

d Eks 2:23

e Ps 27:9
Klg 1:20f Ps 143:7
Jes 65:24

g Klg 1:13

h Ps 143:4

i Ps 6:6
Ps 38:8j Job 19:20
Spr 17:22

k Ps 38:11

l Ps 31:11
Ps 74:10
Ps 79:4

m Klg 3:15

n Ps 80:5

om al die oortreders uit die stad van Jehovah uit te roei.^a

'n Gebed van die onderdrukte wanneer hy alle moed verloor het* en sy besorgdheid voor Jehovah uitstort.^b

102 O Jehovah, hoor my gebed.^c

Laat my geroep om hulp u bereik.^d

2 Moenie u gesig van my af wegdraai wanneer ek deur moeilike tye gaan nie.^e

Skenk aandag aan* my. Antwoord my tog gou wanneer ek roep.^f

3 Want my dae verdwyn soos rook, en my beendere is gebrand soos 'n vuurmaakplek.^g

4 My hart is soos gras wat afgesny is en uitgedroog het,^h want ek vergeet om te eet.

5 As gevolg van my harde gekreunⁱ is ek net vel en been.^j

6 Ek lyk soos die pelikaan van die wildernis. Ek is soos 'n steenuil in verwoeste plekke.

7 Ek lê wakker.* Ek is soos 'n eensame voël op 'n dak.^k

8 Die hele dag lank tart my vyande my uit.^l Dié wat my spot,* gebruik my naam as 'n vloekwoord.

9 Want ek eet as in die plek van brood,^m en wat ek drink, is gemeng met tranenⁿ

10 as gevolg van u groot woede, want u het my opgelig, net om my weg te gooi.

102:Ops *Of "swak word". **102:2** *Of "Buig neer en luister na". **102:7** *Of moontlik "Ek is uitgeteer". **102:8** *Of "wat my vir die gek hou".

- 11 My dae is soos 'n skaduwee
wat verdwyn,^{*a}
en ek verlep soos gras.^b
- 12 Maar u bly vir ewig, o Jeho-
vah,^c
en u roem* sal van geslag
tot geslag duur.^d
- 13 U sal beslis opstaan en ge-
nadig wees teenoor Sion,^e
want die tyd het aangebreek
om u genade aan haar te
betoon.^f
Die vasgestelde tyd het
gekom.^g
- 14 Want u knegte vind vreugde
in haar klippe,^h
en hulle is selfs lief vir
haar stof.ⁱ
- 15 Die nasies sal die naam
van Jehovah vrees,
en al die konings van die
aarde u heerlikheid.^j
- 16 Want Jehovah sal Sion
herbou.^k
Hy sal in sy heerlikheid
verskyn.^l
- 17 Hy sal aandag skenk aan die
gebed van dié wat hulpe-
loos is.^m
Hy sal hulle gebed nie ver-
werp nie.ⁿ
- 18 Dit word vir die toekomstige
geslag neergeskryf,^o
sodat 'n volk wat nog voort-
gebring* moet word, Jah
sal loof.
- 19 Want hy kyk af uit sy heilige
hoogte.^p
Uit die hemel kyk Jehovah
na die aarde
- 20 om te hoor wanneer die
gevangene sug,^q
om dié wat tot die dood ver-
oordeel is, te bevry,^r
- 21 sodat die naam van Jehovah
in Sion bekend gemaak
kan word,^s
en sy lof in Jerusalem,

102:11 *Of "lank word". 102:12 *Of
"naam". Lett. "gedagtenis". 102:18
*Lett. "geskep".

HFST. 102

- a Ps 39:5
b Job 14:1, 2
Ps 102:4
c Ps 90:2
d Eks 3:15
e Jes 49:15
f Jes 60:10
g Esr 1:1, 2
Jes 40:2
Da 9:2
h Ne 2:3
Ps 137:5
i Ps 79:1
j Jes 60:3
Sag 8:22
k Ps 147:2
Jer 33:7
l Jes 60:1
m Da 9:20, 21
n Ps 22:24
o Ps 78:4
Ro 15:4
p 2Kr 16:9
q Eks 3:7
Jes 61:1
r 2Kr 33:12, 13
Ps 79:11
s Ps 9:13, 14
Ps 22:22
Jes 51:11

Tweede kol.

- a Jes 11:10
Jes 49:22
Jes 60:3
b Ps 90:2
Hab 1:12
Op 1:8
c Ps 8:3
Jes 48:13
Heb 1:10-12
d Job 36:26
Mal 3:6
Jak 1:17
e Jes 66:22

HFST. 103

- f De 8:2
Ps 105:5
g 2Sa 12:13
Jes 43:25
h Eks 15:26
Ps 41:3
Ps 147:3
Jes 33:24
Jak 5:15
Op 21:4
i Ps 56:13
j Mi 7:18
k Ps 23:5
Ps 65:4
l Ps 51:12
Jes 40:31
m Ps 9:8

- 22 wanneer die volke en die
koninkryke
bymeekaarkom om Jehovah
te dien.^a
- 23 Hy het my krag te vroeg van
my af weggeneem.
Hy het my dae verkort.
- 24 Ek het gesê: "O my God,
moet my nie in die middel
van my lewe wegvee nie,
u wie se jare deur alle ge-
slagte strek."^b
- 25 Lank gelede het u die fonda-
mente van die aarde gelê,
en die hemele is die werk
van u hande.^c
- 26 Hulle sal ophou bestaan,
maar u sal bly bestaan.
Net soos 'n kledingstuk sal
hulle almal oud word.
Net soos klere sal u hulle
vervang, en hulle sal nie
meer daar wees nie.
- 27 Maar u is dieselfde, en u jare
sal nooit eindig nie.^d
- 28 Die kinders van u knegte sal
in veiligheid woon,
en hulle nageslag sal stewig
gevestig word voor u."^e

Van Dawid.

103 Ek sal Jehovah loof.

Met alles wat binne-in my is,
sal ek sy heilige naam loof.

- 2 Ek sal Jehovah loof.
Mag ek nooit vergeet van al-
les wat hy gedoen het nie.^f
- 3 Hy vergewe al jou oortre-
dings^g
en genees al jou kwale.^h
- 4 Hy eis jou lewe terug uit
die grafⁱ
en kroon jou met sy lojale
liefde en genade.^j
- 5 Hy versadig jou met goeie
dinge^k jou hele lewe lank.
Jou jeug word hernu soos
dié van 'n arend.^l
- 6 Jehovah tree met regverdig-
heid en geregtigheid op^m

vir almal wat onderdruk word.^a

- 7 Hy het sy weë aan Moses bekend maak,^b sy dade aan die kinders van Israel.^c
- 8 Jehovah is genadig en betoon medelye.^{*d}
Hy word nie gou kwaad nie en is vol lojale liefde.^{**e}
- 9 Hy sal nie vir altyd foutvind^f of vir ewig 'n wrok koester nie.^g
- 10 Hy het ons nie volgens ons sondes gestraf^h of ons volgens ons oortredings terugbetaal nie.ⁱ
- 11 Want soos die hemel hoër is as die aarde, so groot is sy lojale liefde vir dié wat hom vrees.^j
- 12 So ver as wat die sonsopkoms van die sonsondergang is, so ver het hy ons oortredings van ons verwyder.^k
- 13 Soos 'n vader genade aan sy kinders betoon, betoon Jehovah genade aan dié wat hom vrees.^l
- 14 Want hy weet goed hoe ons gevorm is,^m en hy hou in gedagte dat ons stof is.ⁿ
- 15 Wat die sterflike mens betref, sy dae is soos dié van gras.^o
Hy is soos 'n bloeisel van die veld.^p
- 16 Maar wanneer die wind waai, is dit weg, asof dit nooit daar was nie.^{*q}
- 17 Maar Jehovah se lojale liefde is tot in alle ewigheid^{*r} vir dié wat hom vrees.^q

103:8 *Sien Woordelys. [#]Of "liefderyke goedhartigheid". 103:16 *Lett. "en sy plek ken dit nie meer nie". 103:17 *Of "van ewigheid tot ewigheid".

HFST. 103

- a Ps 12:5
Spr 22:22, 23
Jak 5:4
b Eks 24:4
Nu 12:8
c Ps 147:19
d Jes 55:7
Jak 5:11
e Eks 34:6
Jl 2:13
Jon 4:2
f Ps 30:5
g Jes 57:16
h Ne 9:31
i Esr 9:13
Ps 130:3
Jes 55:7
j Ps 103:17
Jes 55:9
k Le 16:21, 22
Jes 43:25
Jer 31:34
l Ps 78:38
Jes 49:15
Mal 3:17
Jak 5:15
m Ps 78:39
n Ge 2:7
o Ps 90:5, 6
1Pe 1:24
p Job 14:1, 2
q Lu 1:50

Tweede kol.

- a Eks 20:6
b Eks 19:5
De 7:9
Ps 25:10
c 2Kr 20:6
Jes 66:1
d Ps 47:2
Ps 145:13
Da 4:25
e Da 7:10
f 2Kn 19:35
Lu 1:19
g 1Kn 22:19
Ps 148:2
Lu 2:13, 14
h Mt 13:41
Heb 1:7

HFST. 104

- i Ps 103:1
j Ps 86:10
k 1Kr 16:27
Ese 1:27, 28
Da 7:9
l Jak 1:17
1Jo 1:5
m Jes 40:22
n Ps 18:11
Am 9:6
o De 33:26
Jes 19:1
p 2Sa 22:11
Job 38:1
q Ese 1:13
Heb 1:7, 14
r Job 38:4, 6
Ps 24:1, 2
s Pr 1:4

Sy regverdigheid is vir hulle kinders se kinders,^a

- 18 vir dié wat sy verbond hou^b en dié wat sy bevele streng gehoorsaam.
- 19 Jehovah het sy troon stewig gevestig in die hemel,^c en hy regeer as Koning oor alles.^d
- 20 Loof Jehovah, al sy engele,^e sterk in krag, wat sy woord uitvoer^f en sy stem gehoorsaam.^{*g}
- 21 Loof Jehovah, al sy leër-magte,^g sy dienaars wat sy wil doen.^h
- 22 Loof Jehovah, al sy werke, oral waar hy regeer.^{*i}
Met my hele wese sal ek Jehovah loof.

104 Ek* sal Jehovah loof.ⁱ

O Jehovah my God, u is baie groot.^j

U is met majesteit[#] en prag geklee.^k

- 2 U is met lig omvou^l soos met 'n kled.

U span die hemel uit soos 'n tentdoek.^m

- 3 Hy lê die balke van sy bo-kamers in die water daar bo^{*n} en maak die wolke sy strydwa^o en beweeg op die vlerke van die wind.^p

- 4 Hy maak sy engele geeste, sy dienaars 'n verterende vuur.^q

- 5 Hy het die aarde op sy fondament gevestig.^r
Dit sal vir ewig en altyd nie uit sy plek verskuif word^{*s} nie.^s

103:20 *Lett. "die stem (geluid) van sy woord hoor". 103:22 *Of "in die plekke van sy soewereiniteit". 104:1 *Of "My siel". [#]Of "waardigheid". 104:3 *Lett. "in die waters". 104:5 *Of "wankel".

- 6** U het dit met diep water bedek soos met 'n kleed.^a
Die water het bo die berge gestaan.
- 7** U het hulle bestraf, en hulle het gevlug.^b
Toe hulle die geluid van u donderslae hoor, het hulle in paniek weggehardloop
- 8** – berge het opgerys^c en valleie het weggesink –
na die plek wat u vir hulle vasgestel het.
- 9** U het 'n grens gestel wat hulle nie mag oorskry nie,^d
sodat hulle die aarde nooit weer sou bedek nie.
- 10** Hy stuur water na die valleie.*
Dit vloei tussen die berge deur.
- 11** Hulle voorsien water vir al die wilde diere van die veld.
Daar les die wildedonkies hulle dors.
- 12** Bo hulle woon die voëls van die hemel.
Hulle sing tussen die digte blare.
- 13** Hy gee die berge water uit sy bo-kamers.^e
Met die vrug van u werke word die aarde versadig.^f
- 14** Hy laat gras groei vir die beeste,
en plante vir die mensdom om te gebruik.^g
Hy doen dit om voedsel uit die grond te laat voortkom:
- 15** wyn wat die hart van die mens vrolik maak,^h
olie wat die gesig laat blink en brood wat die hart van die sterflike mens nuwe krag gee.ⁱ

104:10 *Of "wadi's". Sien Woordelys.

HFST. 104

a Ge 1:2

b Ge 1:9

c Spr 8:25

d Job 38:8-10
Ps 33:7
Spr 8:29
Jer 5:22e Job 38:37
Ps 147:8
Jer 10:13
Am 9:6
Mt 5:45f Ps 65:9
Han 14:17g Ge 1:29, 30
Ge 9:3

h Pr 9:7

i Pr 10:19

Tweede kol.

a Jer 8:7

b Job 39:1

c Spr 30:26

d Ge 1:16
Ps 19:6
Jer 31:35e Ge 1:5
Ps 74:16
Jes 45:7

f Am 3:4

g Ps 147:9

h Ne 9:6

i Spr 3:19
Jer 10:12

j Ge 1:21

k Job 41:1

l Ps 136:25
Ps 145:15
Ps 147:9
Mt 6:26

- 16** Die bome van Jehovah word versadig,
die sederbome van Li'banon wat hy geplant het,
- 17** waar die voëls nes maak.
Die ooievaar woon^a in die jenuwerbome.
- 18** Die hoë berge is vir die bergbokke.^b
Die kranse is 'n skuiling vir die klipdassies.^c
- 19** Hy het die maan gemaak om die vasgestelde tye aan te dui.
Die son weet goed wanneer om te sak.^d
- 20** U bring die donkerste, en dit word nag,^e
die tyd wanneer al die wilde diere van die woud rondbeweeg.
- 21** Die jong leeus* brul vir hulle prooi^f
en soek hulle voedsel by God.^g
- 22** Wanneer die son opkom,
keer hulle terug en gaan lê hulle in hulle lêplekke.
- 23** Die mens gaan na sy werk,
en hy werk tot die aand toe.
- 24** Hoe baie is u werke,
o Jehovah!^h
U het hulle almal met wysheid gemaak.ⁱ
Die aarde is vol van wat u gemaak het.
- 25** Daar is die see, so groot en wyd,
wat wemel van ontelbare lewende dinge, klein sowel as groot.^j
- 26** Daar vaar die skepe,
en daar speel die Levia'tan,^k wat u gemaak het.
- 27** Hulle almal wag dat u hulle voedsel vir hulle op die regte tyd moet gee.^l

104:21 *Of "jong maanhaarleeus".

104:26 *Sien Woordelys.

28 Wat u hulle gee, maak hulle bymekaar.^a

Wanneer u u hand oopmaak, word hulle met goeie dinge versadig.^b

29 Wanneer u u gesig wegdraai, raak hulle onrustig.

As u hulle gees wegneem, sterf hulle en keer hulle terug na die stof.^c

30 As u u gees uitstuur, word hulle geskep,^d en u hernu die oppervlak van die grond.

31 Die heerlijkheid van Jehovah sal vir ewig duur.

Jehovah sal vreugdevol wees as gevolg van sy werke.^e

32 Hy kyk na die aarde, en dit bewe.

Hy raak aan die berge, en hulle rook.^f

33 Ek sal my hele lewe lank vir Jehovah sing.^g

Ek sal lofliedere sing* vir my God solank as wat ek lewe.^h

34 Laat my gedagtes vir hom aangenaam wees.* Ek sal vreugdevol wees as gevolg van Jehovah.

35 Die sondaars sal van die aarde af verdwyn, en die goddeloses sal nie meer bestaan nie.ⁱ

Ek sal Jehovah loof.
Loof Jah!^{*}

105 Dank Jehovah,^j roep sy naam aan!

Maak sy dade onder die volke bekend!^k

2 Sing vir hom, sing lofliedere* vir hom.

104:33 *Of "musiek maak". 104:34 *Of moontlik "Laat my bepeinsing oor hom aangenaam wees". 104:35 *Of "Hallelujah!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 105:2 *Of "maak musiek".

HFST. 104

a Lu 12:24
b Ps 107:9
Ps 145:16
c Ge 3:19
Job 34:14, 15
Ps 146:3, 4
Pr 3:19, 20
Pr 12:7
d Job 33:4
Han 17:28
e Ge 1:31
f Eks 19:18
g Ps 13:6
h Ps 146:2
i Ps 37:10, 38
Spr 2:22

HFST. 105

j Ps 136:1
k 1Kr 16:8-13
Ps 96:3
Ps 145:11, 12
Jes 12:4

Tweede kol.

a Ps 77:12
Ps 119:27
b Jer 9:24
c Ps 119:2
d Am 5:4
Sef 2:3
e De 7:18, 19
f Eks 3:6
g Eks 19:5, 6
Jes 41:8
h Eks 20:2
Ps 100:3
i 1Kr 16:14-18
Jes 26:9
Op 15:4
j Ne 1:5
k De 7:9
Lu 1:72, 73
l Ge 17:1, 2
Ge 22:15-18
m Ge 26:3
n Ge 12:7
Ge 13:14, 15
Ge 15:18
Ge 26:3
Ge 28:13
o Ps 78:55
p Ge 34:30
q Ge 17:8
Ge 23:4
1Kr 16:19-22
Han 7:4, 5
r Ge 20:1
Ge 46:6
s Ge 31:7, 42
t Ge 12:17
Ge 20:2, 3

Dink na oor* al sy wonderlike werke.^a

3 Spog oor sy heilige naam.^b Laat die hart van almal wat Jehovah dien,* bly wees.^c

4 Soek Jehovah^d en sy krag. Soek altyd sy goedkeuring.

5 Dink aan sy wonderlike dade, sy wonderwerke en sy oordele.^e

6 o nageslag* van Abraham, sy kneg,^f o kinders van Jakob, dié wat hy uitgekies het.^g

7 Hy is Jehovah ons God.^h Sy oordele geld vir die hele aarde.ⁱ

8 Hy onthou sy verbond vir ewig.^j

Hy dink tot in 'n duisend geslagte aan die belofte wat hy gemaak het,*^k

9 die verbond wat hy met Abraham gemaak het,^l en die eed wat hy aan Isak gesweer het.^m

10 Hy het dit as 'n bevel vir Jakob vasgestel, en as 'n permanente verbond vir Israel,

11 toe hy gesê het: "Ek sal vir jou die land Kanaän geeⁿ as jou erfdeel."^o

12 Daar was toe min van hulle,^p ja, baie min, en hulle was uitlanders in die land.^q

13 Hulle het van nasie tot nasie getrek, van een koninkryk na die ander.^r

14 Hy het nie toegelaat dat enigiemand hulle onderdruk nie,^s maar ter wille van hulle het hy konings tereggewys^t

105:2 *Of moontlik "Praat van". 105:3 *Lett. "soek". 105:6 *Of "nakomelinge". Lett. "saad". 105:8 *Lett. "die woord wat hy beveel het".

- 15 en gesê: "Moenie aan my gesalfdes raak nie, en moet niks slegs aan my profete doen nie."^a
- 16 Hy het 'n hongersnod oor die land laat kom.^b
Hy het hulle voedselvoor- raad laat opraak.*
- 17 Hy het 'n man voor hulle uit gestuur wat as 'n slaaf verkoop is – Josef.^c
- 18 Hulle het boeie aan sy voete gesit,^d en sy nek is in ysters gesit.*
- 19 Tot die tyd dat sy woord waar geword het,^e is hy gesuiver deur wat Jehovah gesê het.
- 20 Die koning het 'n bevel ge- gee om hom vry te laat.^f
Die heerser van die volke het hom bevry.
- 21 Hy het hom as meester van sy huis aangestel, as heerser oor al sy eiendom,^g
- 22 om volle gesag oor sy hoë amptenare te hê* en om sy ouermanne wys- heid te leer.^h
- 23 Toe het Israel na Egipte gekom,ⁱ en Jakob het as 'n uitlander in die land van Gam ge- woon.
- 24 God het sy volk baie vrug- baar gemaak.^j
Hy het hulle magtiger laat word as hulle vyande.^k
- 25 Hy het hulle harte laat ver- ander om sy volke te haat en om slinkse planne teen sy knegte te beraam.^l

105:16 *Lett. "elke broodstok ge- breek". Moontlik stokke waaraan ring- vormige brode gehang is vir bewaring.
105:18 *Of "sy siel het in yster gekom".
105:22 *Of "om sy leiers te bind vol- gens wat vir sy siel aangenaam was".

HFST. 105

a Ge 26:9, 11

b Ge 41:30, 54
Ge 42:5
Han 7:11c Ge 37:28, 36
Ge 45:4, 5
Ge 50:20

d Ge 39:20

e Han 7:10

f Ge 41:14

g Ge 41:39-41
Ge 41:48
Ge 45:8

h Ge 41:33, 38

i Ge 46:4, 6

j Eks 1:7
Han 7:17

k Eks 1:8, 9

l Eks 1:10
Han 7:18, 19

Tweede kol.

a Eks 3:10
Eks 4:12
Eks 6:11b Eks 4:14
Eks 7:1c Ne 9:10
Ps 78:43-51

d Eks 10:22, 23

e Eks 7:20, 21

f Eks 8:6

g Eks 8:17, 24

h Eks 9:23-26

i Eks 10:13-15

j Eks 12:29

k Ge 15:13, 14
Eks 3:22
Eks 12:35, 36

- 26 Hy het sy kneg Moses gestuur,^a en Aäron,^b wat hy uitgekies het.
- 27 Hulle het sy tekens onder hulle gedoen, sy wonderwerke in die land van Gam.^c
- 28 Hy het duisternis gestuur, en die land het donker geword.^d
Hulle het nie teen sy woorde in opstand gekom nie.
- 29 Hy het hulle water in bloed verander en hulle visse doodgemaak.^e
- 30 Hulle land het gewemel van paddas,^f selfs in die koninklike kamers.
- 31 Op sy bevel het steekvlieë gekom, en muggies in al hulle gebiede.^g
- 32 Hy het hulle reën in hael verander en weerlig* oor hulle land gestuur.^h
- 33 Hy het hulle wingerdstokke en hulle vyebome getref en die bome van hulle gebied vernietig.
- 34 Hy het gesê dat die sprinkane moet kom, jong sprinkane wat nie getel kon word nie.ⁱ
- 35 Hulle het al die plante in die land verslind, en hulle het die opbrengs van die grond verslind.
- 36 Toe het hy elke eersgebore- ne in hulle land doodge- maak,^j die begin van hulle voort- plantingsvermoë.
- 37 Hy het sy volk met silwer en goud uitgelei,^k en niemand onder sy stam- me het gestruikel nie.

105:32 *Of "vuurvlamme".

- 38** Egipte was bly toe hulle vertrek het, want hulle het baie bang geword vir Israel.^{*a}
- 39** Hy het 'n wolk uitgesprei om hulle af te skerm,^b en vuur om lig te gee in die nag.^c
- 40** Hulle het gevra, en hy het kwartels gebring.^d Hy het hulle met brood uit die hemel bly versadig.^e
- 41** Hy het 'n rots oopgemaak, en water het uitgevloei.^f Dit het soos 'n rivier deur die woestyn gevloei.^g
- 42** Want hy het gedink aan die heilige belofte wat hy aan sy kneg Abraham gemaak het.^h
- 43** Hy het sy volk met uitroep van vreugde uitgelei,ⁱ die volk wat hy uitgekies het, met 'n vreugdevolle geroep.
- 44** Hy het die lande van nasies aan hulle gegee.^j Hulle het geërf wat ander volke hard gewerk het om voort te bring,^k
- 45** sodat hulle sy bevele sou gehoorsaam^l en sy wette sou nakom. Loof Jah!^{*}
- 106** Loof Jah!^{*} Dank Jehovah, want hy is goed.^m Sy lojale liefde duur vir ewig.ⁿ
- 2** Wie kan Jehovah se magtige dade ten volle bekend maak of al sy lofwaardige dade verkondig?^o
- 3** Gelukkig is dié wat met geregtigheid optree, wat altyd doen wat reg is.^p

105:38 *Lett. "hulle". 105:45; 106:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

HFST. 105
a Eks 12:33
b Eks 14:19, 20
c Eks 13:21
d Ps 78:27
e Eks 16:12-15
Ps 78:24
f Eks 17:6
1Kor 10:1, 4
g Ps 78:15, 16
h Ge 12:7
Ge 15:13, 14
Eks 2:24
De 9:5
i Nu 33:3
j Jos 11:23
Jos 21:43
Ne 9:22
Ps 78:55
Han 13:19
k De 6:10, 11
Jos 5:11, 12
l De 4:40

HFST. 106
m Lu 18:19
n 1Kr 16:34
Esr 3:11
Ps 103:17
Ps 107:1
o Ps 40:5
p Ps 15:1, 2
Jes 64:5

Tweede kol.
a Ne 5:19
Ps 51:18
Ps 119:132
b Eks 19:5
c Ne 9:16
Ps 78:8
d Esr 9:6
Da 9:5
e Eks 14:11, 12
f Ps 143:11
Ese 20:14
g Eks 9:16
Ro 9:17
h Eks 14:21, 22
i Eks 14:30
j Jes 49:26
k Eks 14:13, 28
l Eks 14:31
m Eks 15:1

n Eks 15:24
Eks 16:2, 3
Eks 17:7

- 4** Dink aan my, o Jehovah, wanneer u goedhartigheid betoon aan u volk.^a Sorg vir my met u reddingsdade,
- 5** sodat ek die goedheid kan geniet wat u betoon aan dié wat u uitgekies het,^b sodat ek saam met u nasie bly kan wees, sodat ek u met trots kan loof* saam met u erfdeel.
- 6** Ons het gesondig, net soos ons voorvaders.^c Ons het gedoen wat verkeerd is, en ons het goddeloos opgetree.^d
- 7** Ons voorvaders in Egipte het nie u wonderlike werke waardeer nie.* Hulle het nie u oorfloedige lojale liefde onthou nie, maar hulle het in opstand gekom by die see, by die Rooisee.^e
- 8** Maar hy het hulle ter wille van sy naam gered^f om sy mag bekend te maak.^g
- 9** Hy het die Rooisee bestraf, en dit het opgedroog. Hy het hulle deur die dieptes daarvan gelei, asof deur 'n woestyn.^h
- 10** Hy het hulle uit die hand van hulle teenstander geredⁱ en hulle uit die hand van die vyand teruggeëis.^j
- 11** Die water het hulle vyande bedek, en nie een van hulle het dit oorleef* nie.^k
- 12** Toe het hulle geloof in sy belofte gestel.^l Hulle het begin sing om hom te loof.^m
- 13** Maar hulle het gou vergeet wat hy gedoen het,ⁿ

106:5 *Of "oor u kan spog". 106:7 *Of "nie die betekenis van u wonderlike werke verstaan nie". 106:9 *Of "wildernis". 106:11 *Of "oorgebly".

- en hulle het nie vir sy raad gewag nie.
- 14** Hulle het geswig voor hulle selfsugtige begeertes in die wildernis,^a en hulle het God getoets in die woestyn.^b
- 15** Hy het hulle gegee waarvoor hulle gevra het, maar hy het hulle toe met 'n siekte getref wat hulle laat wegteer het.^c
- 16** In die kamp het hulle jaloers geword op Moses, en op Aäron,^d die heilige van Jehovah.^e
- 17** Die aarde het toe oopgegaan en Datan ingesluk, en dit het Abi'ram^f en dié wat aan sy kant was, bedek.
- 18** 'n Vuur het onder hulle groep gebrand. 'n Vlam het die goddeloses vermeer.^g
- 19** Hulle het 'n kalf in Horeb gemaak en voor 'n metaalbeeld neergebuig.^h
- 20** Hulle het my heerlikheid verruil vir 'n afbeelding van 'n bul, wat gras vreet.ⁱ
- 21** Hulle het God, hulle Redder, vergeet,^j wat groot dinge in Egipte gedoen het,^k
- 22** wonderlike werke in die land van Gam,^l ontsagwekkende daade by die Rooisee.^m
- 23** Hy het op die punt gestaan om te beveel dat hulle vernietig moet word, maar Moses, die een wat hy uitgekies het, het hom gesmeek* om sy vernietigende woede te laat bedaar.ⁿ

106:23 * Lett. "het voor hom in die bres getree".

HFST. 106

- a Nu 11:4
De 9:22
1Kor 10:6
- b Eks 17:2
Ps 78:18
1Kor 10:9
Heb 3:8, 9
- c Nu 11:31, 33
Ps 78:29-31
- d Nu 16:3
- e Le 21:8
Nu 16:5-7
- f Nu 16:27, 32
- g Nu 16:35
- h Eks 32:4
De 9:12
- i Eks 20:4
- j De 32:18
- k De 4:34
- l Ps 78:51
- m Eks 14:25
- n Eks 32:10, 11
De 9:14, 19

Tweede kol.

- a Nu 13:32
De 8:7-9
- b Nu 14:11
- c Nu 14:2
De 1:27
- d Nu 14:22, 23
- e Nu 14:28, 29
Heb 3:11
- f Le 26:33
De 4:27
- g Nu 25:3
Ho 9:10
- h Nu 25:6
De 32:16
- i Nu 25:9
1Kor 10:8
- j Nu 25:7, 8
- k Nu 25:11-13
- l Nu 20:2, 12
Nu 27:13, 14
- m Nu 20:10
- n Jos 16:10
Jos 17:12
Rig 1:21
- o Nu 33:52
De 7:1, 2

- 24** Toe het hulle getoon dat hulle geen waardering vir die begeerlike land het nie.^a Hulle het geen geloof in sy belofte gestel nie.^b
- 25** Hulle het in hulle tente bly kla,^c en hulle het nie na die stem van Jehovah geluister nie.^d
- 26** Daarom het hy sy hand in 'n eed opgelig en gesweer dat hy hulle in die wildernis sou laat val.^e
- 27** Hy sou hulle nakomelinge onder die nasies laat val, en hy sou hulle onder die lande verstrooi.^f
- 28** Toe het hulle die Baäl van Peor begin aanbid*^g en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is.^h
- 29** Hulle het Hom met hulle daade uitgetart,^h en 'n plaag het onder hulle uitgebreek.ⁱ
- 30** Maar toe Pi'nehas opgestaan en ingegryp het, het die plaag opgehou.^j
- 31** En daarom is hy as regverdig beskou, van geslag tot geslag, vir ewig.^k
- 32** Hulle het Hom by die water van Me'riba* uitgetart, en dit het sleg gegaan met Moses as gevolg van hulle.^l
- 33** Hulle het sy gees verbitterd laat word, en hy het oorhaastig met sy lippe gepraat.^m
- 34** Hulle het nie die volke vernietigⁿ soos Jehovah hulle beveel het om te doen nie.^o

106:28 *Of "hulle aan die Baäl van Peor verbind". ^hD.w.s. offerandes wat aan dooie mense of aan leweloze gode geoffer is. **106:32** *Beteiken "stryery".

- 35 Maar hulle het met die nasies gemeng^a en hulle weë aangeleer.^b
- 36 Hulle het hulle afgode bly dien,^c en dit het vir hulle 'n strik geword.^d
- 37 Hulle het hulle seuns en hulle dogters aan demone geoffer.^e
- 38 Hulle het onskuldige bloed bly vergiet,^f die bloed van hulle eie seuns en dogters, wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het.^g Die land is met bloed besoedel.
- 39 Hulle het onrein geword deur hulle werke. Hulle was ontrou aan God* deur hulle dade.^h
- 40 Jehovah het dus woedend geword vir sy volk, en hy kon sy erfdeel nie meer verdra nie.
- 41 Hy het hulle herhaaldelik aan die nasies oorgelewerⁱ sodat hulle vyande oor hulle sou regeer.^j
- 42 Hulle vyande het hulle onderdruk, en hulle is aan hulle mag* onderwerp.

106:39 *Of "het geestelike prostitusie gepleeg". 106:42 *Lett. "hand".

HFST. 106

- a Jos 15:63
Rig 1:33
- b Jes 2:6
- c Rig 2:11, 12
2Kn 17:12
- d Eks 23:32, 33
- e De 12:31
2Kn 16:1, 3
2Kn 17:17, 18
Jer 7:30, 31
1Kor 10:20
- f 2Kn 21:16
- g Ese 16:20
- h Jer 3:9
- i De 32:30
Rig 3:8
- j Rig 10:6-8

Tweede kol.

- a Rig 10:11, 12
1Sa 12:11
- b Rig 4:1
- c Rig 6:1-5
- d Rig 2:18
- e Rig 3:9
- f Eks 34:6
De 32:36
Jes 63:7
Klg 3:32
Jl 2:13
- g Esr 9:9
- h Ps 79:9
- i Jer 32:37
- j 1Kr 16:35
- k 1Kr 29:10
Ps 41:13
Lu 1:68

- 43 Hy het hulle keer op keer gered,^a maar hulle was opstandig en ongehoorsaam,^b en hulle is verneder as gevolg van hulle oortredings.^c
- 44 Maar hy het gesien hoe hulle ly^d en hulle hulpgeroep gehoor.^e
- 45 Hy het gedink aan sy verbond ter wille van hulle, en sy groot* lojale liefde het hom beweeg om genadig te wees.^{#f}
- 46 Hy het diegene wat hulle gevange gehou het, laat jammer voel vir hulle.^g
- 47 Red ons, o Jehovah ons God,^h en maak ons bymekaar uit die nasies,ⁱ sodat ons u heilige naam kan prys en u met vreugde kan loof.*^j
- 48 Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word tot in alle ewigheid.^k En laat die hele volk sê: "Amen!"^{#*} Loof Jah![#]

106:45 *Of "oorvloedige". #Of "spyt te voel". 106:47 *Of "vreugdevol kan wees in u lof". 106:48 *Of "Laat dit so wees!" #Of "Hallelujah!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

BOEK VYF
(Psalm 107-150)

- 107** Dank Jehovah, want hy is goed.^a Sy lojale liefde duur vir ewig.^b
- 2 Só moet dié sê wat deur Jehovah teruggekoop* is, dié wat hy uit die hand[#] van die vyand teruggeëis het,^c

107:2 *Of "teruggeëis". #Of "mag".

HFST. 107

- a Lu 18:19
- b 1Kr 16:34
Ps 103:17
- c Jes 35:10
Jer 15:21
Mi 4:10

Tweede kol.

- a Ps 106:47
Jer 29:14
- b Jes 43:5, 6
Jer 31:8

- 3 wat hy uit die lande bymekaargemaak het,^a uit die ooste en die weste,* uit die noorde en die suide.^b
- 4 Hulle het in die wildernis rondgedwaal, in die woestyn.

107:3 *Of "uit die sonsopkoms en uit die sonsondergang".

- Hulle het nie 'n pad gevind na 'n stad waar hulle kon woon nie.
- 5** Hulle was honger en dors, en hulle was heeltemal uitgeput.
- 6** Hulle het tot Jehovah bly roep toe hulle in die nood was,^a en hy het hulle gered uit hulle moeilike situasie.^b
- 7** Hy het hulle die regte pad laat volg,^c sodat hulle by 'n stad kon kom waar hulle kon woon.^d
- 8** Laat mense Jehovah dank^e vir sy lojale liefde en vir sy wonderlike werke ter wille van mense.^f
- 9** Want hy het dié wat dors is, iets gegee om te drink, en dié wat honger is, met goeie dinge gevul.^g
- 10** Party het in die diepste donkerte gewoon, gevanges was, swaarkry en in ysterboeie is.
- 11** Want hulle het in opstand gekom teen die woord van God. Hulle het geen respek gehad vir die raad van die Allerhoogste nie.^h
- 12** Daarom het hy hulle harte verneder deur hulle te laat ly.ⁱ Hulle het gestruikel, en daar was niemand om hulle te help nie.
- 13** Hulle het tot Jehovah om hulp geroep toe hulle in die nood was, en hy het hulle gered uit hulle moeilike situasie.
- 14** Hy het hulle uit die diepste donkerte uitgebring, en hy het hulle kettings afgeruk.^j
- 15** Laat mense Jehovah dank vir sy lojale liefde^k
- HFST. 107**
a Ho 5:14, 15
b Jes 41:17
c Jes 30:21
d Ne 11:3
e 1Kr 16:8
f Ps 40:5
g Ps 34:10
Jes 55:2
Lu 1:53
h Ps 106:43
Klg 3:42
i Le 26:21
j Ps 68:6
Ps 146:7
Jes 49:8, 9
Jes 61:1
k Klg 3:22
- Tweede kol.**
a Jes 45:1, 2
b Jer 2:19
c Klg 3:39
d Ps 147:3
e Le 7:12
Ps 50:14
f 2Kr 9:21
Ese 27:9
g Ge 1:21
Ps 104:25
h Ps 135:7
Jer 10:13
Jon 1:4
- en vir sy wonderlike werke ter wille van mense.
- 16** Want hy het die koperdeure afgebreek en die ystergrendels stuk-gedraai.^a
- 17** Hulle was onverstandig en het swaargekry^b as gevolg van hulle oortredings en hulle foute.^c
- 18** Hulle het hulle eetlus heeltemal verloor.* Hulle het by die poorte van die dood omgedraai.
- 19** Hulle het tot Jehovah om hulp geroep toe hulle in die nood was, en hy het hulle gered uit hulle moeilike situasie.
- 20** Hy het sy woord gestuur en hulle genees^d en hulle gered uit die putte waarin hulle vasgevang was.
- 21** Laat mense Jehovah dank vir sy lojale liefde en vir sy wonderlike werke ter wille van mense.
- 22** Laat hulle dankoffers bring^e en sy werke bekend maak met uitroepe van vreugde.
- 23** Dié wat met skepe op die see vaar, wat handel dryf op die uitgestrekte water,^f
- 24** het die werke van Jehovah gesien, en sy wonderlike werke in die dieptes.^g
- 25** Sy woord laat 'n windstorm opkom^h en lig die golwe van die see op.
- 26** Hulle styg op na die hemel. Hulle duik af na die dieptes. Hulle moet smelt weg as gevolg van die rampspoed wat kom.
- 107:18** *Of "Hulle het alle voedsel ge-haai".

27 Hulle steier en slinger soos 'n dronk man, en al hulle vaardighede is nutteloos.^a

28 Dan roep hulle tot Jehovah wanneer hulle in die nood is,^b en hy red hulle uit hulle moeilike situasie.

29 Hy laat die windstorm bedaar, en die golwe van die see word stil.^c

30 Hulle word bly wanneer dit tot rus kom. Hy lei hulle na die hawe waarheen hulle wil gaan.

31 Laat mense Jehovah dank vir sy lojale liefde en vir sy wonderlike werke ter wille van mense.^d

32 Laat hulle hom in die gemeente van die volk verheerlik,^e en laat hulle hom in die vergadering* van die ouermanne loof.

33 Hy verander riviere in 'n woestyn, en waterfonteine in dorre grond,^f

34 vrugbare land in 'n onvrugbare land^g as gevolg van die goddeloosheid van dié wat daarin woon.

35 Hy verander die woestyn in waterpoele vol riete, en droë grond in waterfonteine.^h

36 Hy laat dié wat honger is, daar woon,ⁱ sodat hulle 'n stad kan stig om in te woon.^j

37 Hulle saai saad in landerye en plant wingerde^k wat oorvloedige oeste oplewer.^l

HFST. 107

a Jon 1:4, 13

b Jon 1:14

c Ps 65:7
Ps 89:9
Jon 1:15

d Ps 105:5

e Ps 111:1

f 1Kn 17:1, 7
Jes 42:15
Am 4:7

g Ge 13:10
De 29:22, 23

h 2Kn 3:17
Jes 35:7
Jes 41:18

i Ps 146:7
Lu 1:53

j Ps 107:7

k Jes 65:21

l Han 14:17

Tweede kol.

a De 7:13, 14

b Job 12:21, 24

c 1Sa 2:8

d Ps 58:10

e Eks 11:7
Ps 63:11

f Ps 64:9
Ho 14:9

g Ps 77:12
Ps 143:5
Jer 9:24

HFST. 108

h Ps 57:7-11
Ps 104:33

i Ps 81:2

j Ps 36:5
Ps 103:11

k Ps 8:1
Ps 57:5, 11

38 Hy seën hulle, en hulle word baie meer.

Hy laat nie toe dat hulle beste minder word nie.^a

39 Maar hulle word weer min en word verneder as gevolg van onderdrukking, rampspoed en hartseer.

40 Hy bring skande oor heersers en laat hulle rond dwaal in 'n wildernis sonder paaie.^b

41 Maar hy beskerm die armes teen onderdrukking^c en laat hulle families so baie word soos 'n kudde.

42 Die regverdiges sien dit en is bly,^d maar al die onregverdiges hou hulle mond.^e

43 Enigiemand wat wys is, sal hierdie dinge sien^f en sal diep nadink oor Jehovah se dade van lojale liefde.^g

'n Lied. 'n Melodie van Dawid.

108 My hart is standvastig, o God.

Ek sal met my hele wese sing en musiek maak.^h

2 Word wakker, o snaarinstrument, en jy ook, o harp.ⁱ

Ek sal die dagbreek wakker maak.

3 Ek sal u prys onder die volke, o Jehovah, en ek sal onder die nasies vir u lofliedere sing.*

4 Want u lojale liefde is groot, so hoog soos die hemel,^j en u getrouheid strek tot aan die wolke.

5 Mag u hoog bo die hemel wees, o God.

Mag u heerlikheid oor die hele aarde wees.^k

107:32 * Lett. "sitplek".

108:3 * Of "musiek maak".

- 6 Red ons met u regterhand en antwoord my^a sodat u geliefdes gered kan word.
- 7 God het in sy heiligheid* gesê:
"Ek sal van vreugde uitroep, ek sal Sigem^b as 'n erfdeel gee, en ek sal die Vallei van Sukkot afmeet.^c
- 8 Gi'lead^d behoort aan my, en Manas'se ook, en E'fraim is die helm* vir my kop.^e
Juda is vir my die staf van 'n bevelvoerder.^f
- 9 Moab is my wasbak.^g
Op Edom sal ek my sandaal gooi.^h
Ek sal van vreugde uitroep weens die oorwinning oor Filiste'a."ⁱ
- 10 Wie sal my bring na die stad wat versterk is?
Wie sal my tot by Edom lei?^j
- 11 Is dit nie u, o God, deur wie ons verwerp is nie, ons God, wat nie meer saam met ons leërmagte uitgaan nie?^k
- 12 Help ons in moeilike tye,^l want redding deur mense is waardeloos.^m
- 13 Deur God sal ons krag kry,ⁿ en hy sal ons vyande vertrap.^o

Vir die musiekleier.
Van Dawid. 'n Melodie.

109 O God wat ek loof,^p moenie stilbly nie.

- 2 Want die goddeloses en die bedrieglikes praat teen my.
Hulle vertel leuens oor my.^q
- 3 Hulle omsingel my met woorde van haat,

108:7 *Of moontlik "in sy heilige plek".
108:8 *Lett. "vesting".

HFST. 108

- a Ps 20:6
Ps 60:5
- b Jos 17:7
- c Ge 33:17
Ps 60:6-8
- d Jos 13:8, 11
- e De 33:17
- f Ge 49:10
- g 2Sa 8:2
- h Nu 24:18
2Sa 8:14
- i 2Sa 8:1
- j Ps 60:9-12
- k De 23:14
- l Ps 18:6
- m Ps 118:8
Ps 146:3, 4
- n 1Sa 2:4
2Sa 22:40
Jes 40:29-31
- o Ps 44:5

HFST. 109

- p Ps 33:1
- q 2Sa 15:2, 3
Ps 31:18
- Tweede kol.
- a 2Sa 15:12
2Sa 16:5-7
Ps 69:4
- b 2Sa 13:39
- c Ps 35:11, 12
Ps 38:19, 20
- d Ps 55:12-14
- e Jes 1:15
Mi 3:4
- f Ps 55:23
Mt 27:5
- g Han 1:16-20
- h Ps 37:28
- i 2Sa 3:28, 29
2Sa 21:1

en hulle val my aan sonder rede.^a

- 4 In antwoord op my liefde staan hulle my teë,^b maar ek hou aan bid.
- 5 Hulle betaal my terug met slegtheid vir die goeie wat ek doen^c en met haat vir my liefde.^d
- 6 Stel 'n goddelose persoon oor hom aan.
Mag 'n teenstander* aan sy regterhand staan.
- 7 Laat hom skuldig* bevind word wanneer hy geoordeel word.
Laat selfs sy gebed as sonde beskou word.^e
- 8 Laat sy dae min wees.^f
Laat iemand anders sy opsiensamp neem.^g
- 9 Laat sy kinders* wees-kinders word, en sy vrou 'n weduwee.
- 10 Laat sy kinders* bedelaars word wat rond dwaal, wat uit hulle verwoeste huise uitgaan om te gaan kos soek.
- 11 Laat sy skuldeiser alles wat hy het, wegneem,* en laat vreemdelinge sy besittings neem.
- 12 Laat niemand goedhartigheid* aan hom betoon nie, en laat niemand goed wees vir sy vaderlose kinders nie.
- 13 Laat sy nakomelinge uitgeroei word.^h
Laat hulle naam binne een geslag uitgewis word.
- 14 Mag Jehovah die oortreding van sy voorvaders onthou,ⁱ

109:6 *Of "beskuldiger". 109:7 *Of "goddeloos". 109:9, 10 *Lett. "seuns". 109:11 *Of "strikke vir hom stel". 109:12 *Of "lojale liefde".

- en mag die sonde van sy manie uitgewis word nie.
- 15** Mag Jehovah altyd onthou wat hulle gedoen het, en mag hy die herinnering aan hulle van die aarde af uitroei.^a
- 16** Want hy het nie daaraan gedink om goedhartigheid* te betoon nie,^b maar hy het enigiemand wat onderdruk is,^c wat arm is of wie se hart gebreek is, bly agternasit sodat hy hom kan doodmaak.^d
- 17** Hy was lief daarvoor om 'n vloek uit te spreek, en dit is presies wat oor hom gekom het. Hy het geen begeerte gehad om te seën nie, en daarom het hy geen seën ontvang nie.
- 18** Hy het vervloeking as sy kledingstuk gedra. Dit is soos water in sy liggaam ingegooi, soos olie in al sy bene.
- 19** Laat sy vervloeking wees soos die klere waarin hy hom toedraai^e en soos 'n lyfband wat hy altyd dra.
- 20** Dit is die betaling wat Jehovah gee aan die een wat my teëstaan^f en aan dié wat slegte dinge van my sê.
- 21** Maar Soewereine Heer Jehovah, help my ter wille van u naam.^g Red my, want u lojale liefde is goed.^h
- 22** Ek is hulpeloos en arm,ⁱ en my hart is gebreek binne-in my.^j

109:16 *Of "lojale liefde".

HFST. 109

a Ps 34:16

b Jak 2:13

c Ps 10:2

d 2Sa 16:11
2Sa 17:1, 2
Ps 37:32

e Ps 109:29

f 2Sa 17:23

g Ps 25:11
Ps 31:3

h Ps 36:7
Ps 69:16
Ps 86:5

i Ps 40:17

j Ps 102:4

Tweede kol.

a Ps 31:11

b Ps 22:7
Mt 27:39

c Ps 35:26

d Ps 22:22

HFST. 110

e Ro 8:34
Ef 1:20
Heb 8:1
Heb 12:2

f Mt 22:43, 44
Mr 12:36
Lu 20:42, 43
Han 2:34, 35
1Kor 15:25
Heb 1:3, 13
Heb 10:12, 13

g Ps 2:8, 9
Ps 45:4, 5
Mt 28:18
Op 6:2
Op 12:5
Op 19:11, 15

- 23** Ek kom aan my einde soos 'n skaduwee wat verdwyn. Ek is afgeskud soos 'n sprinakaan.
- 24** My knieë is swak omdat ek vas. Ek is maer, en ek teer weg.*
- 25** Hulle spot my.^a Wanneer hulle my sien, skud hulle hulle koppe.^b
- 26** Help my, o Jehovah my God. Red my deur u lojale liefde.
- 27** Laat hulle weet dat dit deur u hand is, dat u, o Jehovah, dit gedoen het.
- 28** Laat hulle 'n vloek uitspreek, maar mag u 'n seën uitspreek. Laat hulle verneder word wanneer hulle teen my opstaan, maar laat u kneg bly wees.
- 29** Laat dié wat my teëstaan, met vernedering geklee word. Mag hulle hulle skande dra soos 'n kledingstuk.*^c
- 30** My mond sal Jehovah vurig prys. Ek sal hom voor baie mense loof.^d
- 31** Want hy sal aan die regterhand van die arme staan om hom te red van dié wat hom veroordeel.

Van Dawid. 'n Melodie.

110 Jehovah het vir my Here gesê:

- "Sit aan my regterhand^e totdat ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak."^f
- 2** Jehovah sal die septer van u mag vanuit Sion uitstrek en sê:
"Gaan tussen jou vyande in en onderwerp hulle."^g

109:24 *Lett. "My vlees het maer geword, sonder vettingheid (olie)".

109:29 *Of "moulose oorkleed".

3 U volk sal hulle gewillig aanbied op die dag dat u leer-mag uitgaan.*

In pragtige heiligheid, teen dagbreek,[#] kom u geselskap van jong manne net soos dou-druppels.

4 Jehovah het 'n eed gesweer, en hy sal nie van gedagte verander* nie:

"Jy is vir ewig 'n priester^a soos Melgise' dek!"^b

5 Jehovah sal aan u regter-hand wees.^c

Hy sal konings vernietig op die dag van sy woede.^d

6 Hy sal die nasies oordeel en straf.*^e

Hy sal die land met lyke vul.^f Hy sal die leier[#] van 'n groot land^Δ vernietig.

7 Hy* sal drink uit die stroom langs die pad.

Daarom sal hy sy kop hoog hou.

111 Loof Jah!^{*g}

Ⲛ [Alef]

Ek sal Jehovah met my hele hart prys^h

Ⲛ [Bet]

in die vergadering van die regverdiges en in die gemeente.

Ⲛ [Gimel]

2 Die werke van Jehovah is groot.ⁱ

Ⲛ [Dalet]

Almal wat vreugde daarin vind, ondersoek dit.^j

110:3 *Of "op die dag van u militêre mag". [#]Lett. "uit die moederskoot van die dagbreek". 110:4 *Of "spyt voel". 110:6 *Of "oordeel voltrek onder die nasies". [#]Lett. "hoof". ^ΔOf "die hele aarde". 110:7 *Verwys na "my Here" in vs. 1. 111:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

HFST. 110

a Heb 7:21, 28

b Ge 14:18
Heb 5:5, 6
Heb 6:19, 20
Heb 7:3, 11

c Ps 16:8

d Ps 2:2
Ro 2:5
Op 11:18
Op 19:19

e Ps 79:6

f Jer 25:31-33

HFST. 111

g Ps 68:4
Ps 113:1
Op 19:1

h Ps 9:1

i Ps 98:1
Ps 139:14
Op 15:3

j Ps 77:12
Ps 143:5

Tweede kol.

a Ps 103:17

b De 31:19
Jos 4:5-7

c Eks 34:6
Jak 5:11

d Ps 37:25
Mt 6:33

e Ps 89:34
Ps 105:8

f Ps 44:2
Ps 105:44

g De 32:4

h Ps 19:8
Jes 55:10, 11

i Ps 19:9

j Eks 15:13
Lu 1:68
Op 7:10

k Ps 89:7
Jes 6:2, 3
Lu 1:49
Op 4:8

l Job 28:28
Spr 1:7
Pr 12:13

Ⲛ [He]

3 Sy dae openbaar sy heerlikheid en prag,

Ⲛ [Waw]

en sy regverdigheid duur vir ewig.^a

Ⲛ [Zajin]

4 Hy sorg dat sy wonderlike werke onthou word.^b

Ⲛ [Get]

Jehovah is vol medelye* en genade.^c

Ⲛ [Tet]

5 Hy gee voedsel aan dié wat hom vrees.^d

Ⲛ [Jod]

Hy onthou sy verbond vir ewig.^e

Ⲛ [Kaf]

6 Hy het sy kragtige werke aan sy volk bekend gemaak

Ⲛ [Lamed]

deur hulle die erfdeel van die nasies te gee.^f

Ⲛ [Mem]

7 Die werke van sy hande is waarheid en geregtigheid.^g

Ⲛ [Noen]

Al sy bevele is betroubaar.^h

Ⲛ [Samek]

8 Dit is altyd betroubaar,* nou en vir ewig,

Ⲛ [Ajin]

gebaseer op waarheid en regverdigheid.ⁱ

Ⲛ [Pe]

9 Hy het sy volk verlos.^j

Ⲛ [Tsade]

Hy het beveel dat sy verbond vir ewig moet duur.

Ⲛ [Kof]

Sy naam is heilig en ontsagwekkend.^k

Ⲛ [Resj]

10 Die vrees vir Jehovah is die begin van wysheid.^l

111:4 *Sien Woordelys. 111:8 *Of "stewig gegrond".

𐤔 [Sin]

Almal wat sy bevele* gehoorsaam, toon goeie insig.^a

𐤏 [Taw]

Hy word vir ewig geloof.

112 Loof Jah!^b

𐤀 [Alef]

Gelukdig is die man wat Jehovah vrees,^c

𐤁 [Bet]

wat groot vreugde in sy gebooue vind.^d

𐤌 [Gimel]

2 Sy nakomlinge sal magtig wees op die aarde,

𐤅 [Dalet]

en die geslag van die regverdiges sal geseën wees.^e

𐤇 [He]

3 Sy huis is vol rykdom,

𐤐 [Waw]

en sy regverdigheid duur vir ewig.

𐤑 [Zajin]

4 Vir dié wat reg lewe, skyn hy soos 'n lig in die duisternis.^f

𐤒 [Get]

Hy is vol medelye* en genade,^g en hy is regverdig.

𐤓 [Tet]

5 Dit gaan goed met die man wat vrygewig* is en uiteen.^h

𐤔 [Jod]

Hy sien om na sy sake met geregtigheid.

𐤕 [Kaf]

6 Hy sal altyd standvastig wees.ⁱ

𐤖 [Lamed]

Die regverdige sal vir ewig onthou word.^j

111:10 *Lett. "hulle". 112:1; 113:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 112:4 *Sien Woordelys. 112:5 *Of "genadig".

HFST. 111

a De 4:6
Jos 1:7, 8
1Kn 2:3
Ps 119:100
2Ti 3:14, 15

HFST. 112

b Eks 15:2
Op 19:1
c Ps 111:10
d Ps 1:1, 2
Ps 40:8
e Ps 25:12, 13
Ps 37:25, 26
f Ps 97:11
1Pe 2:9
g Lu 6:36
Ef 4:32
h De 15:7, 8
Ps 41:1
Spr 19:17
Lu 6:34, 35
Han 20:35
Heb 13:16
i Ps 15:5
Ps 125:1
j Ne 5:19
Spr 10:7

Tweede kol.

a Ps 27:1
Spr 3:25
b Ps 62:8
Jes 26:3
c Spr 28:1
d Ps 59:10
e De 15:11
Spr 11:24
Spr 19:17
f De 24:12, 13
2Kor 9:9
Heb 6:10
g Spr 11:7

HFST. 113

h 1Kr 16:36
1Kr 29:10
Ps 106:48
i Ps 72:19
Ps 86:9
Jes 59:19
Mal 1:11
j Ps 97:9
Ps 99:2
k 1Kn 8:27

𐤌 [Mem]

7 Hy sal nie bang wees vir slegte nuus nie.^a

𐤏 [Noen]

Sy hart is standvastig en vertrou op Jehovah.^b

𐤐 [Samek]

8 Sy hart is vasberade,* en hy is nie bang nie.^c

𐤑 [Ajin]

Hy sal uiteindelik die ondergang van sy vyande sien.^d

𐤒 [Pe]

9 Hy het wyd en syd* uitge-deel. Hy het vir die armes gegee.^e

𐤓 [Tsade]

Sy regverdigheid duur vir ewig.^f

𐤔 [Kof]

Sy krag^g sal verheerlik en geprys word.

𐤕 [Resj]

10 Die goddelose sal dit sien en sal ontsteld wees.

𐤖 [Sjin]

Hy sal op sy tande kners en wegsmelt.

𐤗 [Taw]

Die begeertes van die goddeloses sal verdwyn.^g

113 Loof Jah!^a

Bring lof, o knegte van Jehovah,

loof die naam van Jehovah.

2 Mag Jehovah se naam geloof word,

van nou af en tot in alle ewigheid.^b

3 Laat Jehovah se naam geloof word

van die sonsopkoms tot die sonsondergang.ⁱ

4 Jehovah is hoog bo al die nasies.^j

Sy heerlikheid is bo die hemel.^k

112:8 *Of "standvastig". 112:9 *Of "vrygewig". ^aLett. "horing".

- 5 Wie is soos Jehovah ons God,^a
die Een wat in die hoogtes woon?*
- 6 Hy buig neer om na die hemel en die aarde te kyk,^b
- 7 en hy tel die hulpelose uit die stof uit op.
Hy haal die een wat arm is, van die ashoop* af^c
- 8 om hom by die heersers te laat sit,
by die heersers van sy volk.
- 9 Hy gee die onvrugbare vrou 'n huis
en maak haar 'n gelukkige moeder met kinders.*^d
Loof Jahl!^e
- 114** Toe Israel uit Egipte getrek het,^e
toe die huis van Jakob 'n volk verlaat het wat 'n vreemde taal praat,
- 2 het Juda sy heiligdom* geword
en het Israel die gebied geword waaroor hy regeer.^f
- 3 Die see het dit gesien en gevlug.^g
Die Jordaanrivier het teruggedraai.^h
- 4 Die berge het rondgehuupel soos ramme,ⁱ
die heuwels soos lammers.
- 5 Wat het jou laat vlug, o see?^j
Hoekom het jy teruggedraai, o Jordaanrivier?^k
- 6 Hoekom het julle rondgehuupel soos ramme,
o berge,
soos lammers, o heuwels?
- 7 Bewe, o aarde, as gevolg van die Here,
as gevolg van die God van Jakob,^l

113:5 *Of "op die troon sit". 113:7 *Of moontlik "vullishoop". 113:9 *Lett. "seuns". "Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 114:2 *Of "heilige plek".

HFST. 113

a Eks 15:11

b Ps 18:35

Ps 138:6

Jes 57:15

Jes 66:2

c 1Sa 2:7

d 1Sa 2:5

Jes 54:1

HFST. 114

e Eks 12:41

f Eks 6:7

Eks 19:6

De 32:9

g Eks 14:21

h Jos 3:16

i Eks 19:18

Rig 5:4

j Eks 15:8

k Jos 4:23

l 1Kr 16:29, 30

Tweede kol.

a Eks 17:6

Nu 20:11

De 8:14, 15

Ps 107:35

HFST. 115

b Jes 48:11

Joh 12:28

c Ps 138:2

d Eks 32:12

Nu 14:15, 16

De 32:26, 27

Ps 79:10

e Ps 135:15-18

Jes 40:19

Jes 46:6

Jer 10:3, 4

Jer 10:8, 9

Han 19:26

1Kor 10:19

f Hab 2:19

g 1Sa 5:3

Jes 46:7

h Hab 2:18

i Jes 44:9

j Ps 97:7

k Spr 3:5

l De 33:29

Ps 33:20

m Eks 28:1

- 8 wat die rots in 'n waterpoel vol riete verander,
die klipharde rots* in waterfonteine.^a

115

Ons verdien niks,
o Jehovah, ons verdien niks,*

- maar u naam verdien om verheerlik te word^b
as gevolg van u lojale liefde en u getrouheid.^c
- 2 Hoekom moet die nasies vra:
"Waar is hulle God?"^d
- 3 Ons God is in die hemel.
Wat hy ook al wil, dit doen hy.
- 4 Hulle afgode is silwer en goud,
die werk van mensehande.^e
- 5 Hulle het 'n mond, maar hulle kan nie praat nie,^f
oë, maar hulle kan nie sien nie.
- 6 Hulle het ore, maar hulle kan nie hoor nie,
'n neus, maar hulle kan nie ruik nie.
- 7 Hulle het hande, maar hulle kan nie voel nie,
voete, maar hulle kan nie loop nie.^g
Geen geluid kom uit hulle keel nie.^h
- 8 Die mense wat hulle maak, sal net soos hulle word,ⁱ
en so ook almal wat op hulle vertrou.^j
- 9 O Israel, vertrou op Jehovah^k
– hy is julle hulp en julle skild.^l
- 10 O huis van Aäron,^m vertrou op Jehovah
– hy is julle hulp en julle skild.
- 114:8 *Of "die vuurkliprots". 115:1 *Of "Aan ons behoort niks, o Jehovah, aan ons behoort niks".

- 11** Julle wat Jehovah vrees, vertrou op Jehovah^a – hy is julle hulp en julle skild.^b
- 12** Jehovah dink aan ons, en hy sal ons seën. Hy sal die huis van Israel seën.^c Hy sal die huis van Aäron seën.
- 13** Jehovah sal dié seën wat hom vrees, klein sowel as groot.
- 14** Jehovah sal julle laat toeneem, julle en julle kinders.^{*d}
- 15** Mag julle geseën word deur Jehovah,^e die Maker van hemel en aarde.^f
- 16** Die hemel behoort aan Jehovah,^g maar die aarde het hy aan die mense gegee.^h
- 17** Die dooies loof Jah nie,ⁱ en ook nie dié wat in die stilte van die dood* afgaan nie.^j
- 18** Maar ons sal Jah loof, van nou af en tot in alle ewigheid. Loof Jah!^{*}
- 116** Ek is lief vir Jehovah, want hy hoor* my stem, my smekinge om hulp.^k
- 2** Want hy skenk aandag aan* my,^l en ek sal hom aanroep so lank as wat ek lewe.[#]
- 3** Die toue van die dood was om my.

115:14 *Lett. “seuns”. 115:17 *Lett. “in stilte”. 115:18 *Of “Halleluja!” “Jah” is ’n verkorte vorm van die naam Jehovah. 116:1 *Of moontlik “Ek het lief, want Jehovah hoor”. 116:2 *Of “buig neer om te luister na”. #Lett. “in my dae”.

HFST. 115

a Spr 16:20

b Ps 84:11

c Ge 12:2

d Ge 13:16

e Ps 3:8

f Ps 96:5

g Jes 66:1

h Ge 1:28
Ps 37:29
Jes 45:18
Han 17:26i Ps 6:5
Pr 9:5

j Ps 31:17

HFST. 116

k Ps 18:6

l Ps 34:15

Tweede kol.

a Jes 38:10

b Ps 18:4
Ps 38:6c Ps 34:6
Ro 10:13

d De 32:4

e Eks 34:6
Ne 9:17
Da 9:9

f Ps 19:7

g Ps 56:13
Ps 94:18

h 2Kor 4:13

i Ro 3:4

j Ps 22:25
Jon 2:9k 1Sa 25:29
Job 1:12
Ps 91:14
Sag 2:8
2Pe 2:9Die Graf het my in sy greep gehad.^{*a}Ek was oorweldig deur angste en droefheid.^b**4** Maar ek het die naam van Jehovah aangeroep:^c

“O Jehovah, red my!”

5 Jehovah is vol medelye* en is regverdig.^dOns God is genadig.^e**6** Jehovah bewaar die onervarenes.^f

Ek het swak geword, en hy het my gered.

7 Laat my siel* weer rus, want Jehovah was goed vir my.**8** U het my van die dood gered,my oog van trane, my voet van struikeling.^g**9** Ek sal Jehovah dien* in die land van die lewendes.**10** Ek het geloof gehad, en daarom het ek gepraat.^h Ek het baie swaargekry.**11** Ek het paniekerig geraak en gesê:“Alle mense is leuenaars.”ⁱ**12** Waarmee sal ek Jehovah terugbetaal vir al die goeie dinge wat hy vir my gedoen het?**13** Ek sal die beker van redding* optel, en ek sal die naam van Jehovah aanroep.**14** Ek sal my geloftes aan Jehovah betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk.^j**15** Jehovah beskou dit as ’n groot verlies* as sy lojales sterf.^k

116:3 *Lett. “Die angste van Sjeool het my gevind”. 116:5, 7 *Sien Woorde-lys. 116:9 *Lett. “voor Jehovah wandel”. 116:13 *Of “groot redding”. 116:15 *Lett. “kosbaar”.

- 16** Ek smeeek u, o Jehovah,
want ek is u kneg.
Ek is u kneg, die seun van
u slavin.
U het my van my kettings
bevry.^a
- 17** Ek sal 'n dankoffer aan u
bring,^b
en ek sal die naam van
Jehovah aanroep.
- 18** Ek sal my geloftes aan
Jehovah betaal^c
in die teenwoordigheid van
sy hele volk,^d
- 19** in die voorhove van die huis
van Jehovah,^e
in jou, o Jerusalem.
Loof Jah!^{*f}

117 Loof Jehovah, alle
nasies.^g
Verheerlik hom, alle volke.^{*h}

2 Want sy lojale liefde vir ons
is groot,ⁱ
en die getrouheid/ van Jeho-
vah duur vir ewig.^k
Loof Jah!^{*j}

118 Dank Jehovah, want
hy is goed.^m
Sy lojale liefde duur
vir ewig.

2 Laat Israel nou sê:
"Sy lojale liefde duur
vir ewig."

3 Laat dié van die huis van
Aäron nou sê:
"Sy lojale liefde duur
vir ewig."

4 Laat dié wat Jehovah vrees,
nou sê:
"Sy lojale liefde duur
vir ewig."

5 Ek het Jah* in moeilike om-
standighede aangeroep.

116:19; 117:2 *Of "Halleluja!" "Jah"
is 'n verkorte vorm van die naam
Jehovah. **117:1** *Of "familiegroepe".
118:5 *"Jah" is 'n verkorte vorm van die
naam Jehovah.

HFST. 116

a Ps 107:14

b Le 7:12
Ps 50:23

c Ps 22:25
Ps 76:11

d Ps 116:14

e Ps 96:8

f Op 19:1

HFST. 117

g Op 7:9,10

h Ro 15:11

i Klg 3:22

j Ps 25:10
Ps 91:4

k Ps 100:5

l Ps 111:1

HFST. 118

m Mt 19:17

Tweede kol.

a Ps 18:19

b Ps 27:1

c Jes 51:12
Ro 8:31
Heb 13:6

d Mt 26:52, 53

e Ps 54:7

f Ps 40:4
Ps 146:3, 4
Jer 17:5

g Ese 29:6, 7

h 2Kr 20:15, 17

i 2Kr 14:11

j Eks 15:2
Ps 18:2
Jes 12:2

Jah het my geantwoord en
my na 'n plek van veilig-
heid* gebring.^a

- 6** Jehovah is aan my kant. Ek
sal nie bang wees nie.^b
Wat kan 'n mens aan my
doen?^c
- 7** Jehovah is aan my kant as
my helper.^{*d}
Ek sal die ondergang sien
van dié wat my haat.^e
- 8** Dit is beter om beskerming
by Jehovah te soek
as om op mense te vertrou.^f
- 9** Dit is beter om beskerming
by Jehovah te soek
as om op prinse te vertrou.^g
- 10** Al die nasies het my
omsingel,
maar in die naam van
Jehovah
het ek hulle teruggedryf.^h
- 11** Hulle het my omsingel, ja, ek
was heeltemal omsingel,
maar in die naam van
Jehovah
het ek hulle teruggedryf.
- 12** Hulle het my omsingel
soos bye,
maar hulle is so vinnig
geblus soos 'n vuur wat
tussen dorings brand.
In die naam van Jehovah
het ek hulle teruggedryf.ⁱ
- 13** Hulle* het my hard gestamp
om my te laat val,
maar Jehovah het my
gehelp.
- 14** Jah is my skuiling en my
krag,
en hy het my redding
geword.^j
- 15** Die geluid van vreugde en
redding*
is in die tente van die
regverdiges.

118:5 *Of "ruim plek". **118:7** *Of
moontlik "saam met dié wat my help".
118:13 *Of moontlik "Jy". **118:15** *Of
"oorwinning".

- Die regterhand van Jehovah openbaar sy krag.^a
- 16** Die regterhand van Jehovah is hoog opgelig.
Die regterhand van Jehovah openbaar sy krag.^b
- 17** Ek sal nie sterf nie, nee, ek sal lewe,
om die werke van Jah bekend te maak.^c
- 18** Jah het my streng gedissiplineer,^d
maar hy het my nie aan die dood oorgelewer nie.^e
- 19** Maak vir my die poorte van regverdigheid oop.^f
Ek sal daardeur ingaan en Jah prys.
- 20** Dit is die poort van Jehovah.
Die regverdige sal daardeur ingaan.^g
- 21** Ek sal u prys, want u het my geantwoord,^h
en u het my redding geword.
- 22** Die steen wat die bouers verwerp het,
het die belangrikste hoeksteen* geword.ⁱ
- 23** Dit het van Jehovah af gekom,^j
en dit is wonderlik in ons oë.^k
- 24** Dit is die dag wat Jehovah gemaak het.
Ons sal bly wees en vreugdevol wees.
- 25** Jehovah, red ons, asseblief, ons smeek u!
Jehovah, gee ons die oorwinning, asseblief!
- 26** Geseënd is die een wat in die naam van Jehovah kom.^l
Ons seën julle uit die huis van Jehovah.
- 27** Jehovah is God.
Hy gee ons lig.^m

118:22 *Lett. "die hoof van die hoek".

HFST. 118

- a Ps 89:13
Jes 63:12
- b Eks 15:6
Jes 40:26
- c Ps 6:5
Ps 71:17
- d Ps 66:10
Ps 94:12
- e Ps 16:10
- f Jes 26:2
Op 22:14
- g Ps 24:3, 4
- h Ps 116:1
- i Jes 28:16
Lu 20:17
Han 4:11
1Kor 3:11
Ef 2:19, 20
1Pe 2:4-7
- j Han 5:31
- k Mr 12:10, 11
- l Mt 21:7-9
Mt 23:39
Mr 11:7-10
Lu 19:37, 38
- m Ps 18:28
1Pe 2:9

Tweede kol.

- a Le 23:34
Ps 42:4
- b Eks 27:2
- c Eks 15:2
Jes 25:1
- d Ps 50:23
- e Esr 3:11
Ps 118:1

HFST. 119

- f 2Kn 20:3
Jak 1:25
- g Ps 19:7
- h 2Kr 31:20, 21
- i Jes 38:3
- j De 5:33
Jer 7:23
Jak 2:10
- k Ps 51:10
- l Ps 119:80

Gaan saam met die feeestelike optog met takke in julle hand,^a
tot by die horings van die altaar.^b

- 28** U is my God, en ek sal u prys.
My God, ek sal u verheerlik.^c
- 29** Dank Jehovah,^d want hy is goed.
Sy lojale liefde duur vir ewig.^e

¶ [Alef]

- 119** Gelukkig is dié wie se weg rein is,^{*}
wat die wet van Jehovah volg.^f
- 2** Gelukkig is dié wat aandag skenk aan sy herinneringe,^g
wat hom met hulle hele hart soek.^h
- 3** Hulle beoefen nie onregverdigheid nie.
Hulle volg sy weë.ⁱ
- 4** U het die opdrag gegee dat u bevele streng gehoorsaam moet word.^j
- 5** As ek maar net standvastig kon bly,^{*k}
sodat ek u wetsvoorskrifte kon gehoorsaam!
- 6** Dan sal ek nie verneder word!^l
wanneer ek aan al u gebooe aandag skenk nie.
- 7** Ek sal u met 'n opregte hart prys
wanneer ek van u regverdige oordele leer.
- 8** Ek sal u wetsvoorskrifte gehoorsaam.
Mag u my nooit heeltemal verlaat nie.

119:1 *Of "wat hulle onkreukbaarheid behou". Sien Woordelys. 119:5 *Lett. "Ag, as my weë stewig gevestig was".

𐤁 [Bet]

9 Hoe kan 'n jong man sy pad rein hou?

Deur volgens u woord te lewens.^a

10 Ek wil u met my hele hart dien.*

Moenie my van u gebooi laat afdwaal nie.^b

11 In my hart bewaar ek u woord as 'n skat,^c

sodat ek nie teen u sal sondig nie.^d

12 Mag u geloof word, o Jehovah.

Leer my u wetsvoorskrifte.

13 Met my lippe verkondig ek al u oordele.

14 Ek vind meer vreugde in u herinneringe^e

as in alle ander waardevolle dinge.^f

15 Ek sal oor u bevele nadink*^g

en my oë op u paaië gerig hou.^h

16 Ek is lief vir u wetsbepalings.

Ek sal u woord nie vergeet nie.ⁱ

𐤂 [Gimel]

17 Wees genadig teenoor u kneg,

sodat ek kan lewe en u woord kan gehoorsaam.^j

18 Maak my oë oop sodat ek duidelik kan sien

hoe wonderlik u wet is.

19 Ek is maar net 'n uitlander in die land.^k

Moenie u gebooi vir my wegsteek nie.

20 Ek word verteer omdat ek so baie na u oordele verlang.

21 U bestraf die vermeteles,*

HFST. 119

a Spr 6:20, 22

b Ps 25:5

c Ps 112:1

d Ps 19:13
Ps 37:31

e Jer 15:16

f Ps 19:8, 10
Ps 119:72

g Ps 119:93
Ps 119:100

h Ps 25:10

i Jak 1:23-25

j Jes 38:20

k 1Kr 29:15

Tweede kol.

a De 28:15

b Ps 119:14
Ps 119:168

c De 17:18-20
Ps 119:105
2Ti 3:16, 17

d Ps 22:15

e Ps 119:154
Ps 143:11

f Ps 86:11

g Ps 145:5

h Ps 141:4
Spr 30:8

i Jos 24:15

j Ps 19:7

k Ps 25:20
Ps 119:80

die vervloektes wat van u gebooi afdwaal.^a

22 Moenie toelaat dat hulle my bespot of sonder respek behandel nie,* want ek het aandag geskenk aan u herinneringe.

23 Selfs wanneer magtiges bymekaar sit en teen my praat, dink u kneg na oor* u wetsvoorskrifte.

24 Ek is lief vir u herinneringe.^b

Hulle is my raadgewers.^c

𐤃 [Dalet]

25 Ek lê in die stof.^d Bewaar my lewe, soos u belowe het.^e

26 Ek het u van my weë vertel, en u het my geantwoord.

Leer my u wetsvoorskrifte.^f

27 Laat my die betekenis* van u bevele verstaan, sodat ek oor u wonderlike werke kan nadink.*^g

28 Ek kon nie slaap nie as gevolg van droefheid.

Versterk my, soos u belowe het.

29 Hou my ver weg van die pad van bedrieglikheid,^h en wees goed vir my deur my u wet te leer.

30 Ek het die weg van getrouheid gekies.ⁱ

Ek weet dat u oordele reg is.

31 Ek hou vas aan u herinneringe.^j

O Jehovah, moenie toelaat dat ek teleurgestel word* nie.^k

119:10 *Lett. "soek". 119:15 *Of "u bevele bestudeer". 119:21 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

119:22 *Lett. "Rol bespotting en veragting van my af weg". 119:23 *Of "bestudeer u kneg". 119:27 *Lett. "weg". *Of "u wonderlike werke kan bestudeer". 119:31 *Of "skaam kry".

32 Ek sal die weg van u
gebooië gretig volg,
want u maak plek daarvoor
in my hart.*

† [He]

33 O Jehovah, leer my^a
die weg van u wets-
voorskrifte,
dan sal ek dit tot die einde
toe volg.^b

34 Gee my insig,
sodat ek u wet kan gehoor-
saam
en dit met my hele hart kan
gehoorsaam.

35 Lei my* op die pad van u
gebooië,^c
want ek vind vreugde
daarin.

36 Beweeg my hart om lief te
wees vir u herinneringe,
en nie vir selfsugtige wins
nie.^d

37 Help my om nie na waarde-
lose dinge te kyk nie.^e
Hou my op u weg sodat ek
kan bly lewe.

38 Kom u belofte* aan u
kneg na,
sodat u gevrees kan word.[#]

39 Hou die skande wat ek
vrees, ver van my af,
want u oordele is goed.^f

40 Kyk hoe ek na u bevele
verlang.
Bewaar my lewe, want u is
regverdig.

† [Waw]

41 Mag ek u lojale liefde on-
dervind, o Jehovah,^g
u redding, soos u belowe
het.^{#h}

42 Dan sal ek die een ant-
woord wat my uittart,

HFST. 119

a Jes 48:17
Joh 6:45
Jak 1:5

b Ps 119:112

c Ps 23:3

d Lu 12:15
1Ti 6:10
Heb 13:5

e Nu 15:39
Spr 4:25
Spr 23:4, 5

f Ps 19:9
Ps 119:75

g Ps 51:1
Ps 90:14

h Ps 119:76

Tweede kol.

a Ps 119:33

b Ps 118:5

c Ro 1:16

d Job 23:12
Ps 119:174
Ro 7:22

e Ps 119:127

f Ps 119:23
Ps 119:71

g Ps 94:19
Ro 15:4

h Ps 119:157

i Nu 16:5
De 1:35, 36
De 4:3

j Ro 15:4

k Ps 119:158
Ps 139:21
Spr 28:4

want ek vertrou op
u woord.

43 Moet nooit die woord van
waarheid uit my mond
wegneem nie,
want ek het op u oordeel
gehoop.*

44 Ek sal altyd volgens
u wet lewe,
vir ewig en altyd.^a

45 Ek sal in 'n plek van veilig-
heid* rondloop,^b
want ek soek na u bevele.

46 Ek sal voor konings oor u
herinneringe praat,
en ek sal nie skaam wees
nie.^c

47 Ek vind vreugde in u
gebooië,
ja, ek is lief vir hulle.^d

48 Ek sal my hande oplik na
u gebooië, waarvoor ek
lief is,^e
en ek sal nadink oor u
wetsvoorskrifte.*^f

† [Zajin]

49 Dink aan u belofte* aan
u kneg,
waardeer u my hoop gee.[#]

50 Dit vertroos my wanneer
ek swaarkry,^g
want u woord het my lewe
bewaar.

51 Die vermeteles* spot my
verskriklik,
maar ek dwaal nie van
u wet af nie.^h

52 Ek dink aan u oordele van
lank gelede,ⁱ o Jehovah,
en ek vind vertroosting
daarin.^j

53 Ek is baie kwaad as gevolg
van die goddeloses
wat u wet verlaat.^k

119:32 *Of moontlik "u laat my hart die vertroude hê". **119:35** *Of "Laat my loop". **119:38**, **49** *Of "woord". **119:38** *Of moontlik "wat gemaak is vir dié wat u vrees". **119:41** *Of "volgens u woord".

119:43 *Of "ek wag vir u oordeel". **119:45** *Of "ruim plek". **119:48** *Of "u wetsvoorskrifte bestudeer". **119:49** *Of "waarvoor u my laat wag het". **119:51** *Sien Ps 119:21, vtn.

- 54 U wetsvoorskrifte is liedere vir my waar ek ook al woon.*
- 55 Gedurende die nag dink ek aan u naam, o Jehovah,^a sodat ek u wet kan gehoorsaam.
- 56 Dit was nog altyd my gewoonte omdat ek u bevele gehoorsaam het.
□ [Get]
- 57 Jehovah is my deel.^b Ek het belowe om u woorde te gehoorsaam.^c
- 58 Ek smeek u* met my hele hart:^d wees genadig teenoor my,^e soos u belowe het.^f
- 59 Ek het my weë ondersoek sodat my voete weer u herinneringe kan volg.^f
- 60 Ek tree vinnig op en huiwer nie om u gebooi te gehoorsaam nie.^g
- 61 Die toue van die goddeloses was om my, maar ek vergeet nie u wet nie.^h
- 62 Om middernag staan ek op om u te dankⁱ vir u regverdige oordele.
- 63 Ek is 'n vriend van almal wat u vrees en van dié wat u bevele gehoorsaam.^j
- 64 U lojale liefde vul die aarde, o Jehovah.^k Leer my u wetsvoorskrifte.
⊕ [Tet]
- 65 U was goed vir u kneg, o Jehovah, soos u belowe het.

119:54 *Of "in die huis waarin ek as 'n uitlander woon". 119:58 *Of "Ek versag (soek die glimlag van) u aangesig". #Of "volgens u woord".

HFST. 119

- a Ps 63:6
Jes 26:9
- b Ps 16:5
- c Eks 19:8
- d Ps 51:17
- e Ps 57:1
- f Ps 119:101
Ef 5:15
- g 2Kr 29:1, 3
- h 1Sa 26:8, 9
2Kr 29:1, 2
- i Ps 42:8
- j Spr 13:20
- k Ps 33:5
Ps 104:13

Tweede kol.

- a 1Kn 3:9
Ps 94:10
Da 2:21
Flp 1:9
- b Ps 119:11
- c Ps 86:5
Mr 10:18
- d Jes 48:17
- e Jes 6:10
- f Ps 40:8
Ro 7:22
- g 1Kor 11:32
Heb 12:9-11
- h De 17:18, 19
- i Ps 19:7, 10
Spr 3:13-15
- j 1Kr 22:12
Job 32:8
- k Ps 119:147

l Ps 119:160

m De 32:4
Heb 12:11

n Eks 34:6
Ps 86:5

- 66 Gee my goeie oordeel en kennis,^a want ek het op u gebooi vertrou.
- 67 Voordat ek swaargekry het, het ek soms afgedwaal,^{*} maar nou is ek gehoorsaam aan u woord.^b
- 68 U is goed,^c en u werke is goed. Leer my u wetsvoorskrifte.^d
- 69 Die vermeteles* versprei leuens oor my, maar ek gehoorsaam u bevele met my hele hart.
- 70 Hulle hart is ongevoelig,^{*e} maar ek is lief vir u wet.^f
- 71 Dit is goed dat ek swaargekry het,^g want so kon ek u wetsvoorskrifte leer.
- 72 Die wet van u mond is goed vir my,^h beter as duisende stukke goud en silwer.ⁱ
* [Jod]
- 73 U hande het my gemaak en gevorm. Gee my insig, sodat ek u gebooi kan leer.^j
- 74 Dié wat u vrees, sien my en word bly, want u woord is my hoop.^{*k}
- 75 O Jehovah, ek weet dat u oordele regverdig is^l en dat u my gedissiplineer het omdat u getrou is.^m
- 76 Vertrou my asseblief met u lojale liefde,ⁿ soos u vir u kneg belowe het.*

119:67 *Of "het ek per ongeluk gesondig". 119:69 *Sien Ps 119:21, vtn. 119:70 *Lett. "ongevoelig, soos vet". 119:74 *Of "ek wag vir u woord". 119:76 *Of "volgens u woord aan u kneg".

- 77 Betoon genade aan my,
sodat ek kan bly lewe,^a
want ek is lief vir u wet.^b
- 78 Laat die vermeteles* ver-
neder word,
want hulle behandel my on-
regverdig sonder rede.[#]
Maar ek sal oor u bevele
nadink.^{Δc}
- 79 Laat dié wat u vrees, na my
toe terugkeer,
dié wat u herinneringe ken.
- 80 Mag ek u wetsvoorskrifte
met my hele hart volg,^d
sodat ek nie verneder word
nie.^e
- ▷ [Kaf]
- 81 Ek smag na u redding,^f
want u woord is my hoop.*
- 82 My oë smag na u woord^g
terwyl ek vra: "Wanneer
sal u my vertrous?"^h
- 83 Want ek is soos 'n leersak
wat in die rook uitge-
droog het,
maar ek vergeet nie u wets-
voorskrifte nie.ⁱ
- 84 Hoeveel dae moet u kneg
wag?
Wanneer sal u my vervol-
gers oordeel en straf?^j
- 85 Die vermeteles* grawe
putte vir my,
dié wat teen u wet is.
- 86 Al u gebooie is betroubaar.
Mense vervolg my sonder
rede – help my!^k
- 87 Hulle het my amper van die
aarde af uitgewis,
maar ek het nie u bevele
verlaat nie.
- 88 Bewaar my lewe as gevolg
van u lojale liefde,
sodat ek kan aandag skenk
aan die herinneringe uit
u mond.

119:78, 85 *Sien Ps 119:21, vtn.
119:78 #Of moontlik "met leuens".
ΔOf "u bevele bestudeer". 119:81 *Of
"ek wag vir u woord".

HFST. 119

- a Ps 51:1
Ps 103:13
Ps 119:116
Da 9:18
Lu 1:50
- b Ro 7:22
- c Ps 119:45
- d 1Kn 8:58
- e Ps 119:5, 6
1Jo 2:28
- f Mi 7:7
- g Ps 69:3
- h Ps 86:17
Ps 102:2
- i Ps 119:61
Ps 119:176
- j Ps 7:6
Op 6:9, 10
- k Ps 142:6

Tweede kol.

- a Ps 89:2
Ps 119:152
- b De 7:9
- c Ps 104:5
Pr 1:4
- d Spr 6:23
Mt 4:4
- e Le 18:5
De 30:16
Joh 6:63
Ro 10:5
- f Ps 86:2
Jes 41:10
- g Ps 119:15
- h Ps 40:8
- i Ps 1:2
- j Ps 19:7
Spr 2:6
Spr 10:8

- k Mt 11:25
Lu 2:46, 47

↳ [Lamed]

- 89 O Jehovah, u woord
bestaan vir ewig,
so lank as wat die hemel
sal bestaan.^a
- 90 U getrouheid is van geslag
tot geslag.^b
U het die aarde stewig ge-
vestig, sodat dit kan bly
staan.^c
- 91 Danksy u oordele bestaan
hulle* vandag nog,
want hulle almal is u
knegte.
- 92 As ek nie lief was vir
u wet nie,
sou ek in my ellende
gesterf het.^d
- 93 Ek sal u bevele nooit
vergeet nie,
want daardeur het u my
lewe bewaar.^e
- 94 Ek behoort aan u – red my,^f
want ek het na u bevele
gesoek.^g
- 95 Die goddeloses lê en wag
om my dood te maak,
maar ek skenk noukeurig
aandag aan u herinne-
ringe.
- 96 Ek het gesien dat alle vol-
maaktheid perke het,
maar u gebod het geen
perke nie.*
- ▷ [Mem]
- 97 Hoe lief is ek tog vir u wet!^h
Die hele dag lank dink ek
daaroor na.ⁱ
- 98 U gebod maak my wyser as
my vyande^j
omdat dit altyd by my is.
- 99 Ek het meer insig as al my
onderrigters^k
omdat ek oor u herinne-
ringe nadink.*

119:91 *D.w.s. al sy skeppingswerke.
119:96 *Lett. "is baie breed". 119:97
*Of "bestudeer ek dit". 119:99 *Of "u
herinneringe bestudeer".

- Moet my nie oorlewer aan my onderdrukkers nie!
- 122** Waarborg dat dit goed sal gaan met u kneg. Moenie toelaat dat die vermeteles* my onderdruk nie.
- 123** My oë het swak geword terwyl ek wag vir u redding^a en vir u regverdige belofte.^{*b}
- 124** Betoon u lojale liefde aan u kneg,^c en leer my u wetsvoorskrifte.^d
- 125** Ek is u kneg. Gee my insig,^e sodat ek u herinneringe kan ken.
- 126** Die tyd het aangebreek vir Jehovah om op te tree,^f want hulle het u wet verbreek.
- 127** Daarom het ek u gebooie meer lief as goud, selfs suiwer* goud.^g
- 128** Daarom beskou ek elke instruksie* van u af as reg,^h en ek haat elke valse pad.ⁱ
- D [Pe]
- 129** U herinneringe is wonderlik. Daarom gehoorsaam ek hulle.
- 130** Wanneer u woorde openbaar word, bring dit lig,^j en dit gee insig aan die onervarenes.^k
- 131** Ek maak my mond oop en sug,^{*} want ek verlang na u gebooie.^l
- 132** Skenk aandag aan my en gee my u goedkeuring,^m

119:122 *Sien Ps 119:21, vtn. **119:123** *Of "woord". **119:127** *Of "gesuiwerde". **119:128** *Of "bevel". **119:131** *Lett. "hyg".

HFST. 119

- a Ps 69:3
Ps 143:7
- b Ps 119:81
- c Ps 69:16
- d Ps 143:10
- e Ps 119:34
2Ti 2:7
Jak 1:5
- f Ps 9:19
Jer 18:23
- g Ps 19:9,10
Ps 119:72
Spr 3:13,14
- h Ps 19:8
- i Ps 119:104
- j Ps 119:105
Spr 6:23
2Kor 4:6
2Pe 1:19
- k Ps 19:7
Spr 1:1,4
2Ti 3:15
- l Ps 42:1
1Pe 2:2
- m 1Sa 1:10,11
2Sa 16:11,12
Jes 38:9,20

Tweede kol.

- a Heb 6:10
- b Ps 19:13
Ro 6:12
- c Nu 6:25
Ps 4:6
- d Ese 9:4
2Pe 2:7,8
- e De 32:4
- f Op 16:5,7
- g 2Kn 10:16
Ps 69:9
Joh 2:17
- h Ps 12:6
Ps 119:160
- i Ps 119:97
- j Ps 22:6,7
- k Ps 36:6

- l Eks 34:6
Ps 119:160
Joh 17:17
- m Ps 119:34

- soos u besluit het in verband met* dié wat u naam liefhet.^a
- 133** Rig my voetstappe in veiligheid* deur middel van u woord. Laat niks wat sleg is my oorheers nie.^b
- 134** Red* my van mense wat my wil onderdruk, en ek sal u bevele gehoorsaam.
- 135** Betoon goedheid aan* u kneg,^c en leer my u wetsvoorskrifte.
- 136** Trane stroom by my oë uit omdat mense nie u wet gehoorsaam nie.^d
- S [Tsade]
- 137** U is regverdig, o Jehovah,^e en u oordele is reg.^f
- 138** Die herinneringe wat u gee, is regverdig en heeltemal betroubaar.
- 139** My ywer verteer my^g omdat my vyande u woorde vergeet het.
- 140** U woord is deeglik gesuiwer,^h en u kneg is lief daarvoor.ⁱ
- 141** Ek is onbelangrik, en daar word op my neergesien,^j maar ek het nie u bevele vergeet nie.
- 142** U regverdigheid is 'n ewige regverdigheid,^k en u wet is waarheid.^l
- 143** Al kry ek swaar en al ondervind ek moeilike tye, bly ek lief vir u gebooie.
- 144** U herinneringe is vir ewig regverdig. Gee my insig,^m sodat ek kan bly lewe.

119:132 *Lett. "volgens u regterlike besluit teenoor". **119:133** *Of "Maak my voetstappe stewig". **119:134** *Lett. "Verlos". **119:135** *Of "Glimlag vir".

⤴ [Kof]

- 145** Ek roep met my hele hart.
Antwoord my, o Jehovah.
Ek sal u wetsvoorskrifte
gehoorsaam.
- 146** Ek roep tot u – red my!
Ek sal aandag skenk aan u
herinneringe.
- 147** Ek is voor dagbreek* wak-
ker sodat ek om hulp kan
roep,^a
want u woorde is my hoop.[#]
- 148** Ek maak my oë oop in die
middel van die nag,*
sodat ek oor u woord kan
nadink.^{#b}
- 149** Luister tog na my stem
as gevolg van u lojale
liefde.^c
O Jehovah, bewaar my le-
we, want u is regverdig.
- 150** Dié wat hulle aan skandeli-
ke* gedrag skuldig maak,
kom nader.
Hulle is ver van u wet af.
- 151** U is naby, o Jehovah,^d
en al u gebooie is waar-
heid.^e
- 152** Lank gelede het ek van u
herinneringe geleer,
dat u hulle ingestel het om
vir ewig te duur.^f
- ⤴ [Resj]
- 153** Kyk tog hoe swaar kry ek,
en red my,^g
want ek het u wet nie ver-
geet nie.
- 154** Verdedig my* en red my.^h
Bewaar my lewe, soos u
belowe het.[#]
- 155** Redding is ver van die
godeloses af,
want hulle het nie u wets-
voorskrifte gesoek nie.ⁱ

119:147 *Of "in die skemerlig van die oggend". #Of "ek wag vir u woorde".
119:148 *Of "voor die nagwake". #Of "u woord kan bestudeer". **119:150** *Of "afstootlike". **119:154** *Of "my regsak". #Of "volgens u woord".

HFST. 119

- a Ps 5:3
Ps 88:13
Mr 1:35
- b Ps 63:6
Lu 6:12
- c Ps 51:1
Jes 63:7
- d De 4:7
Ps 46:1
Ps 145:18
- e Ps 19:9
Joh 17:17
- f Ps 119:144
Pr 3:14
- g Ps 9:13
- h 1Sa 24:15
Ps 43:1
- i 2Kn 17:15, 18
Ps 73:27
Spr 15:29

Tweede kol.

- a 1Kr 21:13
Ps 86:15
Jes 55:7
2Kor 1:3
Jak 5:11
- b Ps 25:19
- c Ps 139:21
- d Ps 119:40, 88
Klg 3:22
- e 2Sa 7:28
Ps 12:6
Joh 17:17
- f Ps 119:23
- g 2Kn 22:19
- h Jer 15:16
- i Ps 101:7
Ps 119:29,
104
- j Ps 1:2
- k Ps 1:2, 3
Spr 3:1, 2
Jes 32:17
Jes 48:18

- 156** U genade is groot,
o Jehovah.^a
Bewaar my lewe, want u is
regverdig.
- 157** Ek het baie vervolgers en
vyande,^b
maar ek het nie van u her-
inneringe afgedwaal nie.
- 158** Die bedrieglikes is vir my
walglik,
want hulle gehoorsaam nie
u woord nie.^c
- 159** Kyk hoe lief is ek vir
u bevele!
O Jehovah, bewaar my
lewe as gevolg van u
lojale liefde.^d
- 160** Die hele inhoud van u
woord is waarheid,^e
en al u regverdige oordele
duur vir ewig.
⤴ [Sin of Sjin]
- 161** Magtiges vervolg my^f
sonder rede,
maar my hart is vol ontsag
vir u woorde.^g
- 162** Ek vind vreugde in
u woord,^h
soos iemand wat 'n groot
skat vind.
- 163** Ek haat leuens – dit is vir
my walglikⁱ –
ek is lief vir u wet.^j
- 164** Sewe keer per dag
loof ek u
as gevolg van u regverdige
oordele.
- 165** Oorvloedige vrede behoort
aan dié wat u wet
liefhet.^k
Niks kan hulle laat struikel
nie.*
- 166** Ek vestig my hoop op u
reddingsdade,
o Jehovah,
en ek gehoorsaam u
gebooie.

119:165 *Of "Vir hulle is daar geen struikelblok nie".

167 Ek skenk aandag aan u herinneringe, en ek is baie lief vir hulle.^a

168 Ek skenk aandag aan u bevele en u herinneringe, want u is bewus van alles wat ek doen.^b

□ [Taw]

169 Laat my hulpgeroep u bereik, o Jehovah.^c
Laat my verstaan deur middel van u woord.^d

170 Luister na my smeekgebed. Red my, soos u belowe het.*

171 Laat my lippe oorloop van lof vir u,^e
want u leer my u wetsvoorskrifte.

172 Laat my tong van u woord sing,^f
want al u gebooie is regverdig.

173 Mag u hand gereed wees om my te help,^g
want ek kies om u bevele te gehoorsaam.^h

174 Ek verlang na u redding, o Jehovah,
en ek is lief vir u wet.ⁱ

175 Laat my lewe sodat ek u kan loof.^j
Mag u oordele my help.

176 Ek het soos 'n verlore skaap afgedwaal.^k Soek na u kneg,
want ek het nie u gebooie vergeet nie.^l

ⁿ Lied van die opgange.*

120 Ek het in my angstigtheid tot Jehovah geroep,^m

en hy het my geantwoord.ⁿ

2 O Jehovah, red my van valse lippe en van die bedrieglike tong.

119:170 *Of "volgens u woord".
120:Ops *Sien Woordelys.

HFST. 119

a Ps 1:2
Ps 40:8
Ro 7:22
b Ps 139:3
Spr 5:21
Spr 15:11
Heb 4:13
c Ps 18:6
d 1Kr 22:12
Spr 2:3, 5
e Ps 63:5
Ps 71:17
Ps 145:7
f Ps 40:9
g Ps 60:5
h De 30:19
Jos 24:15, 22
i Ps 1:2
j Ps 9:13, 14
Jes 38:19
k Ps 95:7
Lu 15:4
1Pe 2:25
l Pr 12:13

HFST. 120

m Ps 18:6
n Ps 50:15
Jon 2:1, 2

Tweede kol.

a Spr 12:22
b Ps 7:13
c Ps 140:10
d Ge 10:2
e Jer 49:28
f Ps 57:4

HFST. 121

g Ps 125:2
h Ps 46:1
Jes 41:13
Jer 20:11
Heb 13:6
i Ps 91:11, 12
Spr 3:26
j Jes 27:3
Jes 40:28
k Ps 91:1
Jes 25:4
l Ps 16:8
Ps 109:31
m Jes 49:10
Op 7:16
n Ps 91:5, 6
o Ps 91:10
Spr 12:21
p Ps 97:10
Ps 145:20

3 Wat sal Hy aan jou doen, en hoe sal Hy jou straf,*
o bedrieglike tong?^a

4 Met skerp pyle^b van 'n vegter
en met brandende kole^c van besemstruie.

5 Dit gaan sleg met my, want ek woon as 'n uitlander in Meseg!^d

Ek woon tussen die tente van Kedar.^e

6 Ek woon al veels te lank by dié wat vrede haat.^f

7 Ek wil vrede hê, maar wanneer ek praat, wil hulle oorlog hê.

ⁿ Lied van die opgange.

121 Ek kyk op na die berge.^g

Waar sal my hulp vandaan kom?

2 My hulp kom van Jehovah,^h
die Maker van hemel en aarde.

3 Hy sal nooit toelaat dat jou voet gly* nie.ⁱ

Die Een wat jou beskerm, sal nooit lomerig wees nie.

4 Kyk! Die Een wat Israel beskerm,
sal nooit lomerig wees of aan die slaap raak nie.^j

5 Jehovah beskerm jou.
Jehovah is die skaduwee^k
aan jou regterhand.^l

6 In die dag sal die son vir jou geen gevaar inhou nie,^m
en ook nie die maan in die nag nie.ⁿ

7 Jehovah sal jou teen alle gevare beskerm.^o
Hy sal jou lewe bewaar.^p

8 Jehovah sal jou beskerm in alles wat jy doen,*
van nou af en tot in alle ewigheid.

120:3 *Lett. "en wat sal Hy vir jou byvoeg". 121:3 *Of "wankel". 121:8 *Lett. "jou uitgaan en jou ingaan bewaar".

'n Lied van die opgange. Van Dawid.

122 Ek was bly toe hulle vir my gesê het:

“Kom ons gaan na die huis van Jehovah.”^a

- 2 En nou staan ons voete in jou poorte, o Jerusalem.^b
- 3 Jerusalem is gebou as 'n stad wat 'n hegte eenheid vorm.^c
- 4 Die stamme het daarheen opgegaan, die stamme van Jah,^{*} in ooreenstemming met die herinnering vir Israel, om die naam van Jehovah te loof.^d

- 5 Want trone is daar opgestel vir die oordeel,^e trone van die huis van Dawid.^f

- 6 Bid vir die vrede van Jerusalem.^g Dié wat jou liefhet, o stad, sal veilig wees.

- 7 Mag daar altyd vrede wees binne jou versterkte mure,^{*} veiligheid in jou versterkte torings.

- 8 Ter wille van my broers en my vriende sal ek sê: “Mag daar vrede in jou wees.”

- 9 Ter wille van die huis van Jehovah ons God^h sal ek die goeie vir jou soek.

'n Lied van die opgange.

123 Ek kyk op na u,ⁱ u wat in die hemel op u troon sit.

- 2 Net soos die oë van slawe op die hand van hulle meester gerig is, en die oë van 'n slavin op die hand van haar meester,

122:4 * “Jah” is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 122:7 * Of “jou skanse”.

HFST. 122

a 2Sa 6:15
Ps 27:4
Ps 42:4
Ps 84:10

b 2Kr 6:6
Ps 84:7
Ps 100:4

c 2Sa 5:9
d Eks 23:17
De 12:5, 6

e De 17:8, 9
2Kr 19:8

f 2Sa 7:16
1Kn 10:18
1Kr 29:23

g Ps 51:18

h 1Kr 29:3
Ps 26:8
Ps 69:9

HFST. 123

i Ps 25:15
Ps 121:1

Tweede kol.

a Ps 119:82
Ps 130:6

b Klq 3:25
Mi 7:7

c Ne 4:4
Ps 44:13

HFST. 124

d Ps 46:7
Ro 8:31
Heb 13:6

e Ps 54:4
Ps 118:6

f Ps 3:1
Ps 22:16

g Ps 27:2

h Ps 56:1

i Ps 18:4

j 1Sa 23:26-28
2Sa 17:21, 22

k Ps 25:15
Ps 91:3

l Spr 18:10

HFST. 125

m Jer 17:7

n 1Kn 8:12, 13
Ps 48:2
Ps 132:13, 14

so is ons oë op Jehovah ons God gerig^a totdat hy goedheid aan ons betoon.^b

- 3 Betoon goedheid aan ons, o Jehovah, betoon goedheid aan ons, want ons het al te veel bespotting verduur.^c
- 4 Ons is al te veel uitgelag deur dié wat selfversekerd is en te veel bespot deur die hoogmoediges.

'n Lied van die opgange. Van Dawid.

124 “As Jehovah nie met ons was nie”^d

– laat Israel dan sê –

- 2 “As Jehovah nie met ons was^e toe mense ons wou aanval nie,^f
- 3 dan sou hulle ons lewend ingesluk het^g toe hulle woedend was vir ons.^h
- 4 Dan sou die water ons weggee het en sou die stroom oor ons gespoel het.ⁱ
- 5 Die woeste water sou ons oorweldig het.
- 6 Mag Jehovah geloof word, want hy het ons nie as prooi vir hulle tande gegee nie.
- 7 Ons is soos 'n voël wat ontsnap het uit die jagter se strik.^j Die strik is gebreek, en ons het ontsnap.^k
- 8 Ons hulp is in die naam van Jehovah,^l die Maker van hemel en aarde.”

'n Lied van die opgange.

125 Dié wat op Jehovah vertrou,^m

is soos die berg Sion, wat onbeweeglik is en vir ewig bly bestaan.ⁿ

2 Net soos berge Jerusalem omring,^a so omring Jehovah sy volk,^b van nou af en tot in alle ewigheid.

3 Die septer van goddeloosheid sal nie bly regeer oor die gebied wat aan die regverdiges toegewys is nie,^c sodat die regverdiges nie begin doen* wat verkeerd is nie.^d

4 Wees goed, o Jehovah, vir die goeies,^e vir dié wat opreg van hart is.^f

5 Wat dié betref wat 'n verkeerde weg inslaan, Jehovah sal hulle saam met die oortreders verwyder.^g Mag daar vrede oor Israel wees.

'n Lied van die opgange.

126 Toe Jehovah die gevangenes van Sion teruggebring het,^h het dit gevoel asof ons droom.

2 Op daardie tyd is ons mond met gelag gevul en het ons tong van vreugde uitgeroep.ⁱ

Op daardie tyd het hulle onder die nasies gesê: "Jehovah het groot dinge vir hulle gedoen."^j

3 Jehovah het groot dinge vir ons gedoen,^k en ons is vol vreugde.

4 Bring tog ons gevangenes terug,* o Jehovah, soos strome[#] in die Negeb.

5 Dié wat met trane saai, sal met uitroepe van vreugde oes.

125:3 *Of "nie hulle hande draai na".

126:4 *Of "Herstel tog ons gevangenes". #Of "wadi's". Sien Woordelys.

HFST. 125

- a 1Kn 11:7
Han 1:12
b Ps 34:7
Jes 31:5
Sag 2:4, 5
c Jes 14:5
d Pr 7:7
e Ps 51:18
f Ps 36:10
Ps 73:1
g 1Kr 10:13
Ps 53:5
Jes 59:8

HFST. 126

- h Esr 1:2, 3
Ps 85:1
i Esr 3:11
Ps 106:47
Jes 49:13
Jer 31:12
j Jos 2:9, 10
Ne 6:15, 16
k Esr 7:27, 28
Jes 11:11

Tweede kol.

- a Ps 30:5
Jes 61:1-3
b Jes 9:3

HFST. 127

- c Spr 3:6
Spr 10:22
Spr 16:3
d Jes 27:3
e Ps 3:5
Pr 5:12
f Ge 33:4, 5
Ge 48:3, 4
1Sa 2:21
g Ge 41:51, 52
Le 26:9
Job 42:12, 13
Ps 128:3
h Spr 17:6
i Ge 50:23

HFST. 128

- j Ps 112:1
Heb 5:7
k Ps 119:1
Mi 6:8
l Pr 5:18
Jes 65:22

6 Die een wat wel uitgaan, al is dit huilend, met sy sak vol saad in sy hand, sal vir seker met uitroepe van vreugde terugkeer,^a met sy graanbondels in sy hand.^b

'n Lied van die opgange.
Van Salomo.

127 As Jehovah nie die huis bou nie, werk die bouers verniet hard daaraan.^c As Jehovah nie die stad beskerm nie,^d bly die wag verniet wakker.

2 Julle staan verniet vroeg op, julle bly verniet laat wakker, julle werk verniet hard vir julle voedsel, want hy sorg vir sy geliefdes en gee hulle slaap.^e

3 Kyk! Seuns* is 'n erfdeel van Jehovah,^f en die vrug van die baarmoeder is 'n beloning.^g

4 Soos pyle in die hand van 'n sterk man, so is die seuns wat gebore is in jou jeug.^h

5 Gelukkig is die man wat sy pylkoker met hulle vul.ⁱ Hulle sal nie verneder word nie, want hulle sal met vyande in die stadspoort praat.

'n Lied van die opgange.

128 Gelukkig is enigiemand wat Jehovah vrees,^j wat Sy weë volg.^k

2 Jy sal die opbrengs eet waarvoor jou hande hard gewerk het. Jy sal gelukkig en voorspoedig wees.^l

127:3 *Of "Kinders".

3 Jou vrou sal soos 'n vrugbare wingerdstok in jou huis wees.^a

Jou kinders sal soos jong takkies van 'n olyfboom rondom jou tafel wees.

4 Kyk! So sal die man geseën word wat Jehovah vrees.^b

5 Jehovah sal jou vanuit Sion seën.

Mag jy Jerusalem sien floreer al die dae van jou lewe.^c

6 en mag jy die seuns van jou seuns sien.

Mag daar vrede oor Israel wees.

'n Lied van die opgange.

129 "Van my jong dae af het hulle my heeltyd aangeval"^d

– laat Israel dan sê –

2 "Van my jong dae af het hulle my heeltyd aangeval,^e maar hulle het my nie oorwin nie.^f

3 Manne het oor my rug geploeg.^g Hulle het lang ploegvore gemaak."

4 Maar Jehovah is regverdig.^h Hy het die toue van die goddeloses stukkend gesny.ⁱ

5 Hulle sal verneder word en in skaamte terugtrek, almal wat Sion haat.^j

6 Hulle sal soos gras bo-op die dakke word, wat verlep voordat dit uitgetrek is,

7 wat nie die hand kan vul van die een wat oes nie, en ook nie die arms van die een wat graanbondels insamel nie.

8 Geen verbyganger sal sê: "Mag die seën van Jehovah op julle wees. Ons seën julle in die naam van Jehovah."

HFST. 128

a Eks 23:26
Ps 127:3

b Ps 127:4, 5

c Ps 122:6
Jes 33:20

HFST. 129

d Eks 5:6, 9

e Klg 1:3

f Ps 118:13
Ps 125:3

g Ps 66:12
Jes 51:23

h Esr 9:15
Ne 9:33

i Ps 124:7

j Ne 4:4
Ne 6:15, 16
Est 6:13
Est 9:5
Ps 137:7
Sag 12:3

Tweede kol.

HFST. 130

a Klg 3:55
Jon 2:1, 2

b Ps 38:4
Ps 103:14
Ps 143:1, 2
Jes 55:7
Da 9:18
Ro 3:20
Tit 3:5

c Eks 34:6, 7
Ps 25:11

d Jer 33:8, 9

e Mi 7:7

f Ps 119:147

g Ps 86:5

HFST. 131

h Ps 78:70
Ps 138:6

i 1Sa 18:23

j 1Sa 30:6
Ps 62:1
Jes 30:15
Klg 3:26

'n Lied van die opgange.

130 Uit die dieptes roep ek tot u, o Jehovah.^a

2 O Jehovah, hoor my stem. Mag u ore aandag skenk aan my smeking om hulp.

3 As u boekgehou het van* oortredings, o Jah,[#] wie sou dan kon bly staan, o Jehovah?^b

4 Want by u is daar ware vergifnis,^c en daarom het mense groot ontsag vir u.^{*d}

5 Ek hoop op Jehovah, my hele wese hoop op hom. Ek wag vir sy woord.

6 Ek wag gretig op Jehovah,^e meer as wat wagte vir die oggend wag,^f ja, meer as wat wagte vir die oggend wag.

7 Laat Israel op Jehovah bly wag, want daar is lojale liefde by Jehovah,^g en hy het groot krag om te verlos.

8 Hy sal Israel van al hulle oortredings verlos.

'n Lied van die opgange. Van Dawid.

131 O Jehovah, my hart is nie hoogmoedig nie, en my oë is nie trots nie.^h

Ek streef ook nie na dinge wat te groot isⁱ of wat vir my onbereikbaar is nie.

2 Nee, maar ek het my siel* gekalmeer en tot bedaring gebring,^j soos 'n klein kindjie[#] by sy ma. Ek is so tevrede soos 'n klein kindjie.[#]

130:3 *Of "As u gelet het op". # "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. **130:4** * Lett. "sodat u gevrees kan word". **131:2** *Of "myself". Sien Woordelys. #Of "gespeende kind".

- 3 Laat Israel op Jehovah wag,^a
van nou af en tot in alle
ewigheid.

ⁿ Lied van die opgange.

132 O Jehovah, dink aan Dawid

en aan alles wat hy deur-
gemaak het,^b

- 2 hoe hy vir Jehovah
gesweer het
en aan die Magtige van
Jakob 'n gelofte gemaak
het:^c
- 3 "Ek sal nie in my tent, my
huis, ingaan nie.^d
Ek sal nie op my rusbank,
my bed, lê nie.
- 4 Ek sal nie my oë toelaat om
te slaap
of my ooglede om toe te
val nie,
- 5 totdat ek 'n plek vir
Jehovah vind,
'n pragtige woonplek* vir
die Magtige van Jakob."^e
- 6 Kyk! Ons het in E'frata^f
daarvan gehoor,
ons het dit in die woud
gevind.^g
- 7 Laat ons in sy woonplek*
ingaan.^h
Laat ons voor sy voetbank
neerbuig.ⁱ
- 8 Staan op, o Jehovah, om na
u rusplek toe te kom,^j
u en die Ark, die simbool
van u krag.^k
- 9 Mag u priesters met regver-
digheid geklee word,
en mag u lojales van vreug-
de uitroep.
- 10 Ter wille van u kneg Dawid
moet u nie u gesalfde ver-
werp nie.^l
- 11 Jehovah het vir Dawid
gesweer,
en hy sal beslis sy belofte
hou:

132:5, 7 *Of "groot tabernakel".

HFST. 131

a Ps 130:7
Mi 7:7

HFST. 132

b 1Sa 20:1
c 2Sa 7:2, 3
d 2Sa 5:11
e 2Sa 7:2
1Kn 8:17
1Kr 15:3, 12
Han 7:45, 46
f 1Sa 17:12
g 1Sa 7:1
1Kr 13:6
h Ps 43:3
i 1Kr 28:2
Ps 5:7
j Nu 10:35
2Sa 6:17
k 2Kr 6:41, 42
l 1Kn 15:4
2Kn 19:34

Tweede kol.

a 1Kn 8:25
Ps 89:3, 4
Ps 89:20, 36
Jes 9:7
Jer 33:20, 21
Mt 9:27
Lu 1:69
Han 2:30, 31
Han 13:22, 23
b 1Kr 29:19
c 2Sa 7:12, 16
1Kr 17:11, 12
Ps 89:20, 29
d Ps 48:2, 3
Ps 78:68
Heb 12:22
e Ps 87:2
f Ps 46:5
Jes 24:23
g Ps 22:26
Ps 147:12, 14
h Ps 149:4
i Ps 132:8, 9
j 1Kn 11:36
1Kn 15:4
2Kr 21:7
k Ps 2:6
Ps 72:8
Jes 9:6
Op 11:15

HFST. 133

l Ge 13:8
Joh 13:35
Kol 3:14
Heb 13:1
m Spr 27:9
n Eks 29:4, 7
o De 3:8, 9
1Kr 5:23
p Ps 125:2

"Een van jou nakomelinge
sal ek op jou troon plaas."^a

- 12 As jou seuns my
verbond hou
en my herinneringe onder-
hou wat ek hulle leer,^b
sal hulle seuns ook
vir ewig op jou troon sit."^c
- 13 Want Jehovah het Sion
uitgekies.^d
Dit was sy begeerte om dit
as sy woonplek te hê:^e
- 14 "Dit is my rusplek vir ewig,
en hier sal ek woon,^f want
dit is my begeerte.
- 15 Ek sal dit ryklik seën met
voedsel.
Ek sal sy armes versadig
met brood.^g
- 16 Sy priesters sal ek met
redding beklee,^h
en sy lojales sal van vreugde
uitroep.ⁱ
- 17 Daar sal ek die krag* van
Dawid laat toeneem.
Ek het 'n lamp vir my gesalf-
de gereedgemaak.^j
- 18 Ek sal sy vyande met skaam-
te beklee,
maar die kroon op sy kop
sal floreer."^k

ⁿ Lied van die opgange. Van Dawid.

133 Kyk! Hoe goed en hoe aangenaam is dit as broers in eenheid byme-kaar woon!

- 2 Dit is soos goeie olie wat op die kop uitgegooi word,^m
wat afloop op die baard,
Aäron se baard,ⁿ
en wat afloop op die kraag
van sy klere.
- 3 Dit is soos die dou van Hermon^o
wat op die berge van Sion
neerdaal.^p
Daar het Jehovah sy seën
gegeë
- die ewige lewe.

132:17 *Lett. "horing".

'n Lied van die opgange.

- 134** Loof Jehovah,
alle knegte van
Jehovah,^a
julle wat in die nagte in die
huis van Jehovah staan.^b
2 Lig julle hande op^c in heilig-
heid*
en loof Jehovah.
3 Mag Jehovah, die Maker
van hemel en aarde,
julle vanuit Sion seën.

- 135** Loof Jah!^{*}
Loof die naam van
Jehovah.
Bring lof, o knegte van
Jehovah,^d
2 julle wat in die huis van
Jehovah staan,
in die voorhove van die huis
van ons God.^e
3 Loof Jah, want Jehovah is
goed.^f
Sing liedere* om sy naam
te loof, want dit is aange-
naam.
4 Want Jah het Jakob vir hom
uitgekies,
Israel as sy spesiale
eiendom.^{*g}
5 Want ek weet goed dat
Jehovah groot is.
Ons Here is groter as alle
ander gode.^h
6 Jehovah doen alles wat hy
wil doen,ⁱ
in die hemel en op die aarde,
in die seë en in al die
dieptes.
7 Hy laat wolke* van die
eindes van die aarde
af opstyg.
Hy maak weerlig[#] vir
die reën,

134:2 *Of moontlik "in die heiligdom".
135:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkort-
te vorm van die naam Jehovah. **135:3**
*Of "Maak musiek". **135:4** *Of "kos-
bare besitting". **135:7** *Of "dampe".
#Of moontlik "sluise".

HFST. 134

- a Op 19:5
b 1Kr 9:33
1Kr 23:27, 30
Lu 2:37
Op 7:15
c Ps 28:2
Ps 141:2

HFST. 135

- d Ps 113:1
Op 19:5
e Ps 96:8
Ps 116:19
f Ps 119:68
Mt 19:17
g Eks 19:5
De 7:6
h De 10:17
Ps 97:9
i Ps 115:3
Jes 46:10

Tweede kol.

- a Eks 14:21
Nu 11:31
Jer 10:13
Jer 51:16
Jon 1:4
b Eks 12:12, 29
c Eks 7:20
Eks 8:6, 17
Eks 9:6, 10
Eks 9:23
Eks 10:12, 21
d Ps 136:15
e Ps 44:2
f Jos 12:7, 8
g Nu 21:23, 24
h Nu 21:33-35
i Jos 11:23
j Eks 3:15
Ps 102:12
k Eks 14:31
l De 32:36
m Ps 115:4-8
Jes 46:6
Han 17:29
1Kr 10:19
n Hab 2:19
o Jer 10:14
p Jes 44:9
q Ps 97:7

en hy bring die wind uit sy
stoorkamers uit.^a

- 8** Hy het die eersgeborenes
van Egipte doodgemaak,
mens sowel as dier.^b
9 Hy het tekens en wonder-
werke tussen julle inge-
stuur, o Egipte,^c
teen Farao en al sy knegte.^d
10 Hy het baie nasies verslaan^e
en magtige konings doodge-
maak:^f
11 Sihon, die koning van die
Amoriete,^g
Og, die koning van Basan,^h
en al die koninkryke van
Kanaän.
12 Hy het hulle land as 'n erf-
deel gegee,
as 'n erfdeel aan sy volk
Israel.ⁱ
13 O Jehovah, u naam bly
vir ewig.
O Jehovah, u roem* duur
van geslag tot geslag.^j
14 Want Jehovah sal sy volk
verdedig,^{*k}
en hy sal medelye[#] hê met[^]
sy knegte.^l
15 Die afgode van die nasies is
silwer en goud,
die werk van mensehande.^m
16 Hulle het 'n mond, maar hul-
le kan nie praat nie,ⁿ
oë, maar hulle kan nie sien
nie.
17 Hulle het ore, maar hulle
kan nie hoor nie.
Daar is geen asem in hulle
mond nie.^o
18 Die mense wat hulle maak,
sal net soos hulle word,^p
en so ook almal wat op hulle
vertrou.^q
19 O huis van Israel, loof
Jehovah.

135:13 *Of "naam". Lett. "gedagte-
nis". **135:14** *Of "die regspraak van
sy volk verdedig". #Sien Woordelys.
^Of "spyt voel oor".

- O huis van Aäron, loof Jehovah.
- 20 O huis van Levi, loof Jehovah.^a
Julle wat Jehovah vrees,
loof Jehovah.
- 21 Mag Jehovah vanuit Sion geloof word,^b
hy wat in Jerusalem woon.^c
Loof Jah!^d
- 136** Dank Jehovah, want hy is goed.^e
Sy lojale liefde duur vir ewig.^f
- 2 Dank die God van die gode,^g
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 3 Dank die Here van die here,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 4 Hy alleen doen groot wonders,^h
want sy lojale liefde duur vir ewig.ⁱ
- 5 Hy het die hemel met vaardigheid* gemaak,^j
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 6 Hy het die aarde bo die water uitgesprei,^k
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 7 Hy het die groot ligte gemaak,^l
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 8 die son om oor die dag te heers,^m
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 9 die maan en die sterre om oor die nag te heers,ⁿ
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 10 Hy het Egipte se eersgeborenes doodgemaak,^o
want sy lojale liefde duur vir ewig.

136:5 *Of "verstand".

HFST. 135

a De 10:8

b Ps 48:1
Ps 132:13

c Jer 3:17

d Op 19:6

HFST. 136

e Lu 18:19

f 2Kr 7:3
2Kr 20:21
Ps 106:1
Ps 107:1g Ps 97:9
Da 2:47h Eks 15:11
Op 15:3

i Ps 103:17

j Job 38:36
Spr 3:19, 20k Ge 1:9
Ps 24:1, 2

l Ge 1:14

m Ge 1:16
Jer 31:35

n Ps 8:3

o Eks 12:29

Tweede kol.

a Eks 12:51

b Eks 13:14

c Eks 14:21

d Eks 14:29

e Eks 14:27, 28

f Eks 13:18
Eks 15:22

g Jos 12:7, 8

h Nu 21:21-24

i Nu 21:33-35

j Nu 32:33

k De 32:36

- 11 Hy het Israel onder hulle uitgelei,^a
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 12 met 'n magtige hand^b en 'n uitgestrekte arm,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 13 Hy het die Rooisee in twee* verdeel,^c
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 14 Hy het Israel daardeur laat gaan,^d
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 15 Hy het Farao en sy leërmag in die Rooisee afgeskud,^e
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 16 Hy het sy volk deur die wildernis gelei,^f
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 17 Hy het groot konings doodgemaak,^g
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 18 Hy het magtige konings doodgemaak,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 19 Sihon,^h die koning van die Amoriete,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 20 en Og,ⁱ die koning van Basan,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 21 Hy het hulle land as 'n erfdeel gegee,^j
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 22 as 'n erfdeel aan sy kneg Israel,
want sy lojale liefde duur vir ewig.
- 23 In ons vernedering het hy aan ons gedink,^k

136:13 *Lett. "in stukke".

want sy lojale liefde duur vir ewig.^a

24 Hy het ons bly red van ons vyande,^b

want sy lojale liefde duur vir ewig.

25 Hy gee voedsel aan alles wat lewe,^c

want sy lojale liefde duur vir ewig.

26 Dank die God van die hemel, want sy lojale liefde duur vir ewig.

137 By die riviere van Babilon^d het ons gesit. Ons het gehuil toe ons aan Sion gedink het.^e

2 Aan haar* populierbome het ons ons harpe opgehang.^f

3 Want daar het dié wat ons gevange gehou het, ons gevra om 'n lied te sing.^g Dié wat ons gespot het, wou vermaak gehad het:

“Sing vir ons een van die liedere van Sion.”

4 Hoe kan ons die lied van Jehovah sing in 'n vreemde land?

5 As ek jou sou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan ver-geet hoe om enigiets te doen.^{*h}

6 Laat my tong aan my verhemelte vassit as ek nie meer aan jou dink nie, as ek Jerusalem nie bo my grootste redes tot vreugde stel nie.ⁱ

7 Onthou, o Jehovah, wat die Edomiete gesê het op die dag toe Jerusalem geval het:

137:2 *Verwys na Babilon. 137:5 *Of moontlik “laat my regterhand dan verdor”.

HFST. 136
a Ne 9:32

b Rig 3:9
Rig 6:9

c Ps 145:15
Ps 147:9

HFST. 137

d Jer 51:13
Ese 3:15
Da 10:4

e Da 9:2, 3

f Jes 24:8

g Ps 123:4

h Ne 2:3
Ps 84:2
Ps 102:13, 14
Jes 62:1
Jer 51:50

i Ps 122:1

Tweede kol.

a Jer 49:7
Klg 4:22
Ese 25:12
Ob 10-13

b Jer 47:1
Jer 25:12
Jer 50:2

c Jer 50:29
Op 18:6

d Jer 13:1, 16

HFST. 138

e Ps 9:1

f 1Sa 3:3
1Kr 16:1
Ps 28:2

g Joh 17:6

h Ps 18:6

i Ps 29:11
Jes 12:2
Jes 41:10

j Ps 102:15
Jes 60:3

k 1Kn 8:10, 11

l 1Sa 2:8
Ps 113:6-8
Jes 57:15

m Jak 4:6
1Pe 5:5

“Breek dit af! Breek dit af tot op die fondament!”^a

8 O dogter van Babilon, wat binnekort vernietig sal word,^b

gelukkig sal die een wees wat jou terugbetaal vir wat jy aan ons gedoen het.^c

9 Gelukkig sal die een wees wat jou kinders gryp en hulle teen die rotse verpletter.^d

Van Dawid.

138 Ek sal u met my hele hart prys.^e

Voor die oë van ander gode sal ek lofliedere sing.*

2 Ek sal in die rigting van u heilige tempel* neerbuig,^f en ek sal u naam prys^g as gevolg van u lojale liefde en u getrouheid.

Want u het u woord en u naam groter as alle ander dinge gemaak.^h

3 Op die dag toe ek geroep het, het u my geantwoed.^h

U het my moedig en sterk gemaak.ⁱ

4 Al die konings van die aarde sal u prys, o Jehovah,^j want hulle sal die beloftes gehoor het wat u gemaak het.

5 Hulle sal van die weë van Jehovah sing, want die heerlijkheid van Jehovah is groot.^k

6 Al is Jehovah hoog, skenk hy aandag aan die nederiges,^l maar hy ken die hoogmoediges net van ver af.^m

138:1 *Of moontlik “Uit minagting vir ander gode sal ek vir u musiek maak”. 138:2 *Of “heiligheid”. ^hOf moontlik “u het u woord groot gemaak bo u hele naam”.

7 Selfs wanneer ek tussen gevare loop, sal u my lewe bewaar.^a

U strek u hand uit teen die woede van my vyande.

U regterhand sal my red.

8 Jehovah sal alles uitvoer wat in my belang is.

O Jehovah, u lojale liefde duur vir ewig.^b

Moenie die werke van u hande verlaat nie.^c

Vir die musiekleier.
Van Dawid. 'n Melodie.

139 O Jehovah, u het my deursoek, en u ken my.^d

2 U weet wanneer ek gaan sit en wanneer ek opstaan.^e

U ken my gedagtes van ver af.^f

3 U sien* my wanneer ek op reis is en wanneer ek gaan lê.

U is bekend met al my weë.^g

4 Daar is nog nie 'n woord op my tong nie, maar u, o Jehovah, weet reeds wat dit is.^h

5 U omring my, en u is voor en agter my, en u lê u hand op my.

6 Sulke kennis is vir my onbegryplik.*

Dit is te hoog vir my om te bereik.[†]

7 Waarheen kan ek gaan om van u gees af weg te kom, en waarheen kan ek vlug sodat u my nie kan sien nie?[‡]

8 As ek na die hemel sou opgaan, sou u daar wees, en as ek my bed in die Graf* sou maak, sou u selfs daar wees.^k

9 As ek met die vlerke van die dagbreek sou wegvlieg

HFST. 138

a Ps 71:20

b Ps 103:17

c Job 14:15
Ps 71:18

HFST. 139

d 1Sa 16:6, 7
1Kr 28:9
Ps 17:3
Ps 139:23
Jer 20:12

e Ge 16:13

f Ps 94:11

g Ge 28:15
2Sa 8:14
Job 31:4
Ps 121:8
Spr 5:21

h Heb 4:12

i Job 26:14
Job 42:3
Ps 40:5
Ro 11:33

j Jon 1:3

k Job 26:6
Spr 15:11

Tweede kol.

a Ps 63:8
Ps 73:23
Jes 41:13

b Da 2:22

c Heb 4:13

d Ps 22:9
Ps 71:6
Jer 1:5

e Ge 1:26

f Ps 19:1
Ps 104:24
Ps 111:2
Op 15:3

g Job 10:10, 11

h Jes 55:9

i Ro 11:33

j Ps 40:5

k Ps 63:6

om by die mees afgeleë see te gaan woon,

10 sou u hand my selfs daar lei en sou u regterhand my vashou.^a

11 As ek sê: "Die duisternis sal my beslis wegsteek!" dan sal die nag om my lig word.

12 Selfs die duisternis sou nie vir u te donker wees nie, maar die nag sou net so helder wees soos die dag,^b en die duisternis is vir u net soos die lig.^c

13 Want u het my niere gemaak.

U het my afgeskerm* in die baarmoeder van my ma.^d

14 Ek prys u omdat ek op 'n ontsagwekkende manier wonderlik gemaak is.^e

U werke is wonderlik.^f

Ek weet dit alte goed.

15 Al my bene was vir u sigbaar toe ek in die geheim gemaak is, toe ek in die dieptes van die aarde geweef is.^g

16 U oë het my selfs as 'n embrio gesien.

In u boek is al die dele daarvan neergeskryf, asook die dae toe hulle gevorm is,

voordat enige van hulle bestaan het.

17 Hoe kosbaar is u gedagtes dus vir my!^h

O God, hoe groot is die volle getal daarvan!ⁱ

18 As ek hulle probeer tel, is hulle meer as die sandkorrels.^j

Wanneer ek wakker word, is ek nog steeds by u.*^k

139:3 *Lett. "meet". 139:6 *Of "te wonderlik". [†]Of "te veel vir my om te begryp". 139:8 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

139:13 *Of moontlik "aanmekarge-weef". 139:18 *Of moontlik "sal ek nog steeds besig wees om dit te tel".

- 19 O God, as u die goddeloses maar net sou doodmaak!^a
Dan sou die gewelddadige* mense van my af weggaan,
- 20 dié wat slegte* dinge teen u sê.
Hulle is u vyande wat u naam op 'n disrespekvolle manier gebruik.^b
- 21 Haat ek nie dié wat u haat nie, o Jehovah,^c
en is dié wat teen u in opstand kom, nie vir my waglik nie?^d
- 22 Ek voel niks behalwe haat vir hulle nie.^e
Hulle het vyande vir my geword.
- 23 Deursoek my, o God, en ken my hart.^f
Ondersoek my, en ken my angstige* gedagtes.^g
- 24 Kyk of daar in my enige skadelike weg is,^h
en lei myⁱ op die weg van die ewigheid.

Vir die musikleier.
'n Melodie van Dawid.

- 140** Red my, o Jehovah, van goddelose mense.
Beskerm my teen gewelddadige mense,^j
- 2 dié wat slegte planne in hulle hart beraam^k
en die hele dag lank konflik veroorsaak.
- 3 Hulle maak hulle tong skerp soos dié van 'n slang.^l
Die gif van slange is agter hulle lippe.^m (Sela)
- 4 Beskerm my, o Jehovah, teen die hande van die goddeloses.ⁿ
Bewaar my van gewelddadige mense,

139:19 *Of "bloedskuldige". 139:20 *Of "volgens hulle idee". 139:23 *Of "verontrustende".

HFST. 139

- a Ps 5:6
b Eks 20:7
c 2Kr 19:2
2Kor 6:14
d Ps 119:158
e Ps 101:3
f Jer 20:12
g Ps 94:19
h Ps 17:3
i Ps 5:8
Ps 143:8
Ps 143:10

HFST. 140

- j Ps 18:48
Ps 59:1
k Ps 64:2, 6
l Ps 52:1, 2
Ps 58:3, 4
m Ro 3:13
Jak 3:8
n Ps 17:8
Ps 36:11
Ps 71:4

Tweede kol.

- a Ps 10:9
b Jer 18:22
c Ps 28:2
Ps 55:1
d 1Sa 17:37
e 2Sa 15:31
Ps 27:12
f Ps 7:16
Spr 12:13
g Ps 11:5, 6
h Ps 55:23
i Ps 12:3
j Ps 10:17, 18
Ps 22:24
k Ps 23:6

dié wat planne beraam om my te laat val.

- 5 Die hoogmoediges steek 'n strik vir my weg,
en met toue spreid hulle 'n net uit langs die pad.^a
Hulle stel strikke vir my.^b (Sela)
- 6 Ek sê vir Jehovah: "U is my God.
Luister, o Jehovah, na my smeking om hulp."^c
- 7 O Jehovah, die Soewereine Heer, my sterk Redder,
u beskerm my kop op die dag van die geveg.^d
- 8 O Jehovah, moenie die goddeloses gee wat hulle wil hê nie.
Moenie toelaat dat hulle planne sukses behaal nie, sodat hulle nie dink dat hulle belangrik is nie.^e (Sela)
- 9 Mag die koppe van dié wat my omsingel,
bedek word met die slegtheid van hulle eie lippe.^f
- 10 Mag brandende kole op hulle neerreën.^g
Mag hulle in die vuur gegooi word,
in diep putte*^h waaruit hulle nooit weer sal kom nie.
- 11 Mag die lasteraar geen plek op die aarde* vind nie.ⁱ
Mag slegte dinge mense van geweld agternasit en hulle doodmaak.
- 12 Ek weet dat Jehovah die hulpeloses sal verdedig en geregtigheid sal gee aan die armes.^j
- 13 Die regverdige sal u naam beslis loof.
Dié wat reg lewe, sal in u teenwoordigheid woon.^k

140:10 *Of "in waterputte". 140:11 *Of "in die land".

ⁿ Melodie van Dawid.

- 141** O Jehovah, ek roep u aan.^a
 Kom gou om my te help.^b
 Skenk aandag wanneer ek tot u roep.^c
- 2** Mag my gebed wees soos reukwerk^d wat voor u voorberei is,^e
 my opgeligte hande soos die graanoffer in die aand.^f
- 3** Stel 'n wag voor my mond, o Jehovah.
 Bewaak die deur van my lippe.^g
- 4** Moenie toelaat dat my hart geneig word tot enigiets wat sleg is nie,^h
 om walglike dinge te doen saam met goddelose mense nie.
 Mag ek nooit hulle lekker-nye geniet nie.
- 5** As die regverdige my sou slaan, sou dit 'n daad van lojale liefde wees.ⁱ
 As hy my sou tereg wys, sou dit soos olie op my kop wees,^j
 wat my kop nooit sou weier nie.^k
 Selfs tydens hulle rampspoed sal ek bly bid.
- 6** Al word hulle regters van die krans afgegooi,
 sal die volk aandag skenk aan my woorde, want dit is aangenaam.
- 7** Net soos wanneer iemand grond ploeg en dit opbreek,
 so is ons beendere by die mond van die Graf* verstrooi.
- 8** Maar ek rig my oë op u, o Soewereine Heer Jehovah.^l
 Ek het beskerming by u kom soek.

141:7 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

HFST. 141

- a Ps 31:17
 b Ps 40:13
 Ps 70:5
 c Ps 39:12
 d Eks 30:34-36
 e Lu 1:9, 10
 Op 5:8
 Op 8:3, 4
 f Eks 29:41
 g Spr 13:3
 Spr 21:23
 Jak 1:26
 h 1Kn 8:58
 Ps 119:36
 i 2Sa 12:7, 9
 Spr 17:10
 Ga 6:1
 j Spr 6:23
 Jak 5:14
 k Spr 9:8
 Spr 19:25
 Spr 25:12
 l 2Kr 20:12
 Ps 25:15

Tweede kol.

- a Est 7:10
 Ps 7:14, 15
 Ps 9:15
 Ps 57:6

HFST. 142

- b 1Sa 22:1
 1Sa 24:3
 Heb 11:32, 38
 c Ps 28:2
 Ps 141:1
 d Ps 18:6
 Jon 2:7
 Mt 26:38, 39
 Mr 15:34
 Heb 5:7
 e Ps 139:3
 f Ps 31:11
 Ps 69:20
 g 1Sa 23:11
 h Spr 18:10

Moenie my lewe wegneem nie.

- 9** Beskerm my teen die valstrik wat hulle vir my gestel het,
 teen die strikke van slegte mense.
- 10** Die goddeloses sal almal saam in hulle eie nette val,^a
 terwyl ek veilig verbygaan.
 Maskil.* Van Dawid, toe hy in die grot was.^b 'n Gebed.

142 Met my stem roep ek tot Jehovah om hulp.^c

Met my stem smee ek Jehovah om genade aan my te betoon.

- 2** Ek stort my bekommernis voor hom uit.
 Ek vertel hom van my angstigheid^d
- 3** wanneer my gees* in my verswak.
 Dan waak u oor my weg.^e
 Hulle het vir my 'n strik gestel
 op die pad waarop ek loop.
- 4** Kyk na my regterhand en sien
 dat niemand vir my omgee* nie.^f
 Ek kan nêrens heen vlug nie.^g
 Niemand is bekommerd oor my nie.
- 5** Ek roep tot u om my te help, o Jehovah.
 Ek sê: "U is my skuilplek,^h
 al wat ek het* in die land van die lewendes."
- 6** Skenk aandag aan my hulpgeroep,
 want ek het baie diep gesink.

142:Ops *Sien Woordelys. 142:3 *Of "krag". 142:4 *Lett. "my erken". 142:5 *Lett. "my deel".

Red my van my vervolgers,^a
want hulle is sterker as ek.

- 7 Bevry my uit die gevangenis
sodat ek u naam kan prys.
Laat die regverdiges om my
bymeekaarkom
omdat u goed is vir my.

ⁿ Melodie van Dawid.

143 O Jehovah, hoor my gebed.^b

Luister tog na my gesmeek
om hulp.

Antwoord my in u getrou-
heid en u regverdigheid.

- 2 Moenie 'n regsak teen u
kneg maak nie,
want niemand wat lewe, kan
voor u regverdig wees
nie.^c

- 3 Want die vyand sit my
agterna.

Hy het my lewe in die grond
ingetrap.

Hy het my in donkerte laat
woon, soos dié wat al lank
dood is.

- 4 My gees* word swak.^d
My hart is lam binne-in my.^e

- 5 Ek dink aan die dae van
lank gelede.

Ek peins oor* al u dade.^f
Ek dink gretig na oor die
werk van u hande.

- 6 Ek strek my hande uit na u.
Ek is soos 'n dorre land wat
dors na u.^g (*Sela*)

- 7 Antwoord my tog gou,
o Jehovah.^h

My krag* het tot 'n einde
gekom.ⁱ

Moenie u gesig van my af
wegdraai nie,^j
anders sal ek word soos dié
wat in die graf afgaan.^k

- 8 Laat my u lojale liefde in die
oggend hoor,
want ek vertrou op u.

143:4 *Of "krag". 143:5 *Of "bestu-
deer". 143:7 *Lett. "gees".

HFST. 142

a 1Sa 20:33
1Sa 23:26
1Sa 25:29

HFST. 143

b Ps 65:2

c Job 9:2

Ps 130:3

Pr 7:20

Ro 3:20

Ga 2:16

1Jo 1:10

d Ps 142:3

e Ps 102:4

f Ps 77:5, 6

Ps 77:11, 12

Ps 111:2, 3

g Ps 63:1

h Ps 40:13

Ps 70:5

i Ps 142:3

j Ps 27:9

k Ps 28:1

Tweede kol.

a Ps 5:8

Spr 3:6

b Ps 59:1

Ps 61:3, 4

Ps 91:1

c Ps 25:4

d Ps 31:1

e 1Sa 25:29

1Sa 26:9, 10

f 1Sa 24:12

g Ps 89:20

HFST. 144

h De 32:4

i 2Sa 22:35

Ps 18:2, 34

j 2Sa 22:2, 3

k Ps 18:47

l Ps 8:4

Heb 2:6

m Ps 39:5

n 1Kr 29:15

Job 14:1, 2

o Ps 18:9

Maak aan my die weg be-
kend wat ek moet volg,^a
want ek rig my tot u.

- 9 Red my van my vyande,
o Jehovah.

Ek soek u beskerming.^b

- 10 Leer my om u wil te doen,^c
want u is my God.

U gees is goed.

Mag dit my oor vaste grond*
lei.

- 11 Bewaar my lewe ter wille
van u naam, o Jehovah.

Red my uit die moeilikheid,
want u is regverdig.^d

- 12 Maak 'n einde aan my vy-
ande* in u lojale liefde.^e

Vernietig almal wat vyandig
is teenoor my,^f

want ek is u kneg.^g

Van Dawid.

144 Mag Jehovah, my Rots,^h geloof word,

wat my hande leer om te veg
en my vingers om oorlog te
maak.ⁱ

- 2 Hy is my lojale liefde en
my vesting,

my veilige skuilplek* en
my redder,

my skild en die Een by wie
ek skuiling kom vind het,^j

die Een wat volke onder my
onderwerp.^k

- 3 O Jehovah, wat is die mens
dat u hom sou raaksien,

die seun van 'n sterflike
mens dat u aandag aan
hom sou gee?^l

- 4 Die mens is maar net soos
asem.^m

Sy dae is soos 'n skaduwee
wat verbygaan.ⁿ

- 5 O Jehovah, laat sak* u
hemel en daal neer.^o

143:10 *Of "in die land van opregt-
heid". 143:12 *Lett. "Maak my vy-
ande stil". 144:2 *Of "veilige hoog-
te". 144:5 *Of "buig".

Raak aan die berge en laat hulle rook.^a

- 6** Laat weerlig blits en verstrooi die vyand.^b
Skiet u pyle en verwar hulle.^c
- 7** Steek u hande uit van bo af. Bevry my en red my uit die onstuimige water, uit die hand* van die uitlanders.^d
- 8** wie se mond leuens vertel en wat hulle regterhand op lig om valslik te sweer.*
- 9** O God, ek sal 'n nuwe lied vir u sing.^e
Terwyl daar op 'n tiensnare-ryge instrument gespeel word, sal ek vir u lofliedere sing.*
- 10** vir die Een wat oorwinning* aan konings gee,^f
die Een wat sy kneg Dawid van die dodelike swaard red.^g
- 11** Red my en bevry my uit die hand van die uitlanders, wie se mond leuens vertel en wat hulle regterhand op lig om valslik te sweer.
- 12** Dan sal ons seuns soos jong plantjies wees wat vinnig opskiet,
en ons dogters soos hoekpilare wat vir 'n paleis gemaak is.
- 13** Ons voorraadskure sal oorloop van allerhande soorte voedsel.
Ons kleinvee in ons velde sal vermeerder by die duisende, by die tien-duisende.
- 14** Ons dragtige koeie sal niks oorkom* en geen misgeboorte hê nie.

144:7 *Of "greep". **144:8** *Lett. "en hulle regterhand is 'n regterhand van onwaarheid". **144:9** *Of "musiek maak". **144:10** *Of "redding". **144:14** *Of "geen skeuring".

HFST. 144

a Eks 19:18

b Job 36:32

c 2Sa 22:15

d 2Sa 22:17, 18
Ps 18:16, 17
Ps 54:3

e Ps 33:3
Ps 40:3
Ps 96:1
Jes 42:10
Op 5:9
Op 14:3

f 2Sa 5:19
Ps 18:50

g 1Sa 17:45, 46
2Sa 21:15, 17

Tweede kol.

a Ps 33:12
Ps 37:9
Ps 37:37
Ps 146:5

HFST. 145

b Jes 33:22
Op 11:17

c 1Kr 29:10

d Ps 119:164

e Ps 146:2

f Ps 150:2
Ro 1:20
Op 15:3

g Job 26:14
Ps 139:6
Ro 11:33

h Eks 12:26, 27

i Ps 8:1

j 1Kn 8:66
Ps 13:6
Ps 31:19
Jes 63:7
Jer 31:12

k Ps 51:14
Op 15:3

Geen geskree of gekla sal op ons openbare pleine gehoor word nie.

- 15** Gelukkig is die volk met wie dit so gaan!

Gelukkig is die volk wie se God Jehovah is!^a

'n Loflied van Dawid.

℣ [Alef]

145 Ek sal u prys, o my God die Koning.^b

Ek sal u naam vir ewig en altyd loof.^c

℣ [Bet]

- 2** Ek sal u die hele dag lank loof.^d

Ek sal u naam vir ewig en altyd loof.^e

℣ [Gimel]

- 3** Jehovah is groot en verdien beslis om geloof te word.^f

Sy grootheid kan nie ten volle begryp word nie.^g

℣ [Dalet]

- 4** Geslag ná geslag sal u werke prys.

Hulle sal van u magtige dade vertel.^h

℣ [He]

- 5** Hulle sal van die glorieryke prag van u majesteit praat,ⁱ

en ek sal oor u wonderlike werke nadink.

℣ [Waw]

- 6** Hulle sal van u ontsagwekkende dade* praat,

en ek sal u grootheid bekend maak.

℣ [Zajin]

- 7** Hulle woorde van lof sal uitborrel terwyl hulle terugdink aan u oorfloedige goedheid,^j

en hulle sal van vreugde uitroep as gevolg van u regverdigheid.^k

145:6 *Of "krag".

𐤒 [Get]

- 8 Jehovah betoon medelye*
en is genadig.^a
Hy word nie gou kwaad
nie, en sy lojale liefde is
groot.^b

𐤒 [Tet]

- 9 Jehovah is goed vir almal,^c
en sy genade kan
duidelik gesien word in al
sy werke.

* [Jod]

- 10 Al u werke sal u verheerlik,
o Jehovah,^d
en u lojales sal u loof.^e

𐤒 [Kaf]

- 11 Hulle sal die heerlikheid van
u koningskap verkondig,^f
en hulle sal praat oor u
mag,^g

𐤒 [Lamed]

- 12 sodat hulle u magtige daede
en die glorieryke prag van
u koningskap
aan mense bekend kan
maak.^h

𐤒 [Mem]

- 13 U koningskap is 'n ewige
koningskap,
en u sal tot in alle geslagte
regeer.ⁱ

𐤒 [Samek]

- 14 Jehovah ondersteun almal
wat val/
en help almal op wat gebuk
gaan onder probleme.^k

𐤒 [Ajin]

- 15 Alle oë kyk hoopvol na u.
U gee hulle hulle voedsel
op die regte tyd.^l

𐤒 [Pe]

- 16 U maak u hand oop
en bevredig die begeerte
van alles wat lewe.^m

𐤒 [Tsade]

- 17 Jehovah is regverdig in al
sy weëⁿ
en lojaal in alles wat hy
doen.^o

145:8 *Sien Woordelys.

HFST. 145

- a 2Kr 30:9
Ef 2:4
b Eks 34:6
Ne 9:17
c Ps 25:8
Na 1:7
Mt 5:44, 45
Han 14:17
Jak 1:17
d Ps 19:1
e Ps 30:4
Heb 13:15
f Lu 10:8, 9
g De 3:24
1Kr 29:11
Op 15:3
h Ps 98:1
Ps 103:19
i Ps 146:10
1Ti 1:17
j Ps 37:23, 24
Ps 94:18
k Ps 146:8
l Ge 1:30
Ps 136:25
m Ps 104:27, 28
Ps 107:9
Ps 132:14, 15
n Ge 18:25
De 32:4
o Ps 18:25
Op 15:3, 4

Tweede kol.

- a Ps 34:18
Jak 4:8
b Ps 17:1
c Ps 34:9
d Ps 37:39, 40
Ps 50:15
e Ps 31:23
Ps 97:10
f Spr 2:22
g Ps 34:1
Ps 51:15
h Ps 117:1
Ps 150:6

HFST. 146

- i Op 19:6
j Ps 103:1
k Ps 62:9
Ps 118:8, 9
Jes 2:22
Jer 17:5
l Ge 3:19
Ps 104:29
Pr 3:20
Pr 12:7
m Pr 9:5, 10
Jes 38:18
n Ps 46:7
o Ps 71:5
Jer 17:7

𐤒 [Kof]

- 18 Jehovah is naby almal wat
hom aanroep,^a
almal wat hom in opregt-
heid* aanroep.^b

𐤒 [Resj]

- 19 Hy bevredig die begeerte
van dié wat hom vrees.^c
Hy hoor hulle geroep om
hulp, en hy red hulle.^d

𐤒 [Sjin]

- 20 Jehovah bewaar almal wat
hom liefhet,^e
maar hy sal al die godde-
loses vernietig.^f

𐤒 [Taw]

- 21 My mond sal die lof van
Jehovah verkondig.^g
Laat alles wat lewe sy hei-
lige naam vir ewig en
altyd loof.^h

146 Loof Jah!*
Laat my hele wese
Jehovah loof.ⁱ

- 2 Ek sal Jehovah my hele lewe
lank loof.

Ek sal lofliedere sing* vir
my God solank as wat ek
lewe.

- 3 Moenie julle vertrou in
magtiges* stel nie.
Moenie vertrou op mense,
wat nie redding kan bring
nie.^k

- 4 Sy gees* gaan uit, hy keer
terug na die grond.^l
Op daardie dag kom sy ge-
dagtes tot 'n einde.^m

- 5 Gelukkig is die een wat
die God van Jakob as sy
helper het,ⁿ

wat sy hoop vestig op
Jehovah sy God,^o

- 6 die Maker van hemel en
aarde,

145:18 *Of "waarheid". 146:1 *Of
"Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm
van die naam Jehovah. 146:2 *Of
"musiek maak". 146:3 *Of "prinse".
146:4 *Of "asem".

van die see en alles wat in hulle is,^a
die Een wat altyd getrou bly,^b

7 die Een wat geregtigheid gee aan dié wat uitgebuit is, die Een wat brood gee aan dié wat honger is.^c
Jehovah bevry die gevangenes.^d

8 Jehovah maak die oë van die blindes oop.^e
Jehovah help mense wat onder probleme gebuk gaan, om weer op te staan.^f
Jehovah is lief vir die regverdiges.

9 Jehovah beskerm die uitlander.
Hy ondersteun die weeskind en die weduwee,^g maar hy laat die planne van die goddeloses misluk.^{*h}

10 Jehovah sal vir ewig Koning wees,ⁱ
jou God, o Sion, van geslag tot geslag.
Loof Jah!*

147 Loof Jah!*
Dit is goed om lofliedere te sing[#] vir ons God.

Hoe aangenaam en gepas is dit om hom te loof!^l

- 2 Jehovah bou Jerusalem.^k
Hy bring die Israëliete bymekaar wat verstrooi is.^l
- 3 Hy genees dié wie se hart gebreek is.
Hy verbind hulle wonde.
- 4 Hy tel die aantal sterre.
Hy noem hulle almal by naam.^m
- 5 Ons Here is groot en is sterk in krag.ⁿ

146:9 *Of "maak die weg van die goddeloses krom". 146:10; 147:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 147:1 #Of "musiek te maak".

HFST. 146

a Han 4:24

Op 14:7

b De 7:9

c Ps 107:9

Ps 145:16

d Ps 107:14

Ps 142:7

e Jes 29:18

Jes 35:5

f Ps 145:14

2Kor 7:6

g De 10:18

Ps 68:5

h Ps 145:20

i Eks 15:18

Da 6:26

Op 11:15

HFST. 147

j Ps 135:3

k Ps 102:16

l De 30:1-3

Ese 36:24

m Jes 40:26

n Na 1:3

Tweede kol.

a Jes 40:28

Ro 11:33

b Ps 37:11

c 1Kn 18:45

Jer 14:22

Mt 5:45

d Job 38:25-27

Jes 30:23

e Ps 136:25

f Job 38:41

Lu 12:24

g Jes 31:1

Ho 1:7

h 1Sa 16:7

i Mal 3:16

j Ps 33:18

k Le 26:6

Jes 60:17

l De 8:7, 8

Ps 132:14, 15

m Job 37:6

n Job 38:29

o Jos 10:11

Sy wysheid* kan nie gemeet word nie.^a

6 Jehovah help die nederiges op,^b
maar hy gooi die goddeloses op die grond neer.

7 Sing vir Jehovah om hom te dank.

Sing lofliedere vir ons God terwyl daar op die harp gespeel word.

8 Hy bedek die hemel met wolke.

Hy voorsien reën vir die aarde.^c

Hy laat groen gras op die berge uitspruit.^d

9 Aan die diere gee hy voedsel,^e

aan die jong kraaie wat daarvoor bly roep.^f

10 Hy vind geen vreugde in die krag van die perd nie,^g
en hy is nie beïndruk deur die sterk bene van 'n man nie.^h

11 Jehovah vind vreugde in dié wat hom vrees,ⁱ
in dié wat vir sy lojale liefde wag.^j

12 Verheerlik Jehovah, o Jerusalem.

Loof jou God, o Sion.

13 Hy maak die grendels van jou stadspoorte sterk.
Hy seën jou kinders.

14 Hy laat vrede in jou gebied heers.^k

Hy versadig jou met die beste* koring.^l

15 Hy stuur sy bevel na die aarde.

Sy woord beweeg vinnig.

16 Hy stuur die sneeu soos wol.^m

Hy strooi die ryp net soos as.ⁿ

17 Hy laat sy haelstene* val soos stukkies brood.^o

147:5 *Of "verstand". 147:14 *Lett. "die vet van". 147:17 *Of "ys".

Wie kan sy koue weerstaan?^a

18 Hy stuur sy woord uit, en hulle smelt.

Hy laat sy wind waai,^b en die water vloei.

19 Hy maak sy woord bekend aan Jakob,

sy wetsvoorskrifte en oordele aan Israel.^c

20 Hy het nie met enige ander nasie so gemaak nie.^d

Hulle weet niks omtrent sy oordele nie.

Loof Jah!^e

148 Loof Jah!^a
Loof Jehovah vanuit die hemel.^f

Loof hom in die hoogtes.

2 Loof hom, al sy engele.^g
Loof hom, sy hele leërmag.^h

3 Loof hom, son en maan.
Loof hom, al die sterre wat skyn.ⁱ

4 Loof hom, o hoogste hemel* en water bo die hemel.

5 Laat hulle die naam van Jehovah loof,
want hy het die bevel gegee, en hulle is geskep.^j

6 Hy het hulle vir ewig en altyd gevestig.^k
Hy het 'n bevel gegee wat nooit tot 'n einde sal kom nie.^l

7 Loof Jehovah van die aarde af,
groot seediere en alle diep water,

8 weerlig en hael, sneeu en dik wolke,
stormwind, wat sy woord uitvoer.^m

9 berge en al die heuwels,ⁿ
vrugtebome en al die sederbome,^o

HFST. 147

a Job 37:10

b Ps 148:8

c De 4:5

d Eks 19:5

Eks 31:16, 17

De 4:8

1Kr 17:21

Ro 3:1, 2

e Op 19:6

HFST. 148

f Ps 89:5

g Ps 103:20

Lu 2:13

h Jer 32:18

Jud 14

i Ps 19:1

j Ps 33:6

k Ps 89:37

l Ps 119:91

Jer 31:35, 36

Jer 33:25

m Eks 9:23

Ps 107:25

Jes 30:30

n Ps 98:8

o 1Kr 16:33

Jes 44:23

Tweede kol.

a Jes 43:20

b Ps 2:10, 11

c Ps 8:1

Jes 12:4

d 1Kn 8:27

1Kr 29:11

HFST. 149

e Ps 33:3

Ps 96:1

Jes 42:10

Op 5:9

f Ps 22:22

g Ps 100:3

Jes 54:5

h Rig 11:34

i Eks 15:20

Ps 150:4

j Ps 84:11

k Ps 132:16

Jes 61:10

10 wilde diere^a en al die mak diere,
kruipende diere en voëls,

11 konings van die aarde en al die nasies,
leiers en al die regters van die aarde,^b

12 jong manne en jong vroue,^{*}
oumense en jongmense[#]
tesame.

13 Laat hulle die naam van Jehovah loof,
want sy naam alleen is onbereikbaar hoog.^c
Sy majesteit is bo die aarde en die hemel.^d

14 Hy sal sy volk groter krag gee,[#]
tot die lof van al sy lojales,
van die kinders van Israel,
die volk wat na aan hom is.
Loof Jah![#]

149 Loof Jah!^a
Sing vir Jehovah 'n nuwe lied.^e

Prys hom in die gemeente van die lojales.^f

2 Laat Israel bly wees as gevolg van sy Groot Maker.^g
Laat die kinders van Sion bly wees as gevolg van hulle Koning.

3 Laat hulle sy naam met gedans loof^h
en vir hom lofliedere sing*
terwyl daar op die tamboeryn en die harp gespeel word.^j

4 Want Jehovah vind vreugde in sy volk.ⁱ

Hy versier die nederiges met redding.^k

5 Laat die lojales vreugdevol wees as gevolg van hulle heerlikheid.

148:12 *Lett. "maagde". #Of "ou manne en jong manne". 148:14 #Lett. "die husing oplig vir sy volk". 149:3 *Of "musiek maak".

147:20; 148:1, 14; 149:1 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. 148:4 *Lett. "hemele van die hemele".

Laat hulle van vreugde uitroep op hulle beddens.^a

- 6** Laat die lofliedere vir God uit hulle keel kom, en laat 'n tweesnydende swaard in hulle hand wees
- 7** om wraak te neem op die nasies en om die volke te straf,
- 8** om hulle konings te bind met kettings, en hulle heersers met boeie van yster,
- 9** om hulle te straf volgens die oordeel wat teen hulle geskryf is.^b
- Hierdie eer behoort aan al sy lojales.

Loof Jah!*

150 Loof Jah! *^c
Loof God in sy heiligdom.^d

149:9; 150:1, 6 *Of "Halleluja!" "Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

HFST. 149

a Ps 63:6

b De 7:1

HFST. 150

c Op 19:6

d Ps 116:19

Tweede kol.

a Ps 19:1

b Ps 107:15
Op 15:3

c De 3:24
Ps 145:3

d Ps 81:3

e 1Kr 15:28

f Eks 15:20

g Ps 92:1, 3
Ps 144:9

h 1Sa 10:5

i 2Sa 6:5
1Kr 15:19

1Kr 16:5

j Op 5:13

Loof hom in die hemel, wat getuig van sy krag.*^a

- 2** Loof hom vir sy magtige werke.^b
- Loof hom vir sy onmeetlike grootheid.^c
- 3** Loof hom deur op die horing te blaas.^d
- Loof hom met die snaarinstrument en die harp.^e
- 4** Loof hom met die tamboe-ryn^f en die sirkeldans. Loof hom met snare^g en die fluit.^h
- 5** Loof hom met die klank van simbale. Loof hom met die slag van simbale.ⁱ
- 6** Laat alles wat asemhaal Jah loof. Loof Jah! *^j

150:1 *Lett. "die uitspannel van sy krag".

SPREUKE

OORSIG

- Doel van die spreuke (1-7)
Gevare van slegte assosiasie (8-19)
Ware wysheid roep uit in openbaar (20-33)
- Waarde van wysheid (1-22)
Soek na wysheid soos na versteekte skatte (4)
Denkvermoë 'n beskerming (11)
Onsedelikheid lei tot rampspoed (16-19)
- Wees wys en vertrou op Jehovah (1-12)
Eer Jehovah met waardevolle dinge (9)
Wysheid bring geluk (13-18)

- Wysheid bring veiligheid (19-26)
Gepaste gedrag teenoor ander (27-35)
"Moenie die goeie terughou" (27)
- 'n Pa se wyse raad (1-27)
Wysheid van grootste belang (7)
Vermy slegte paaie (14, 15)
Pad van regverdiger word helderder (18)
"Beskerm jou hart" (23)
 - Waarskuwing teen onsedelike vrouens (1-14)
"Vind vreugde in die vrou van jou jeug" (15-23)

- 6 Wees versigtig om borg te staan (1-5)
 “Gaan na die mier, jou luiaard” (6-11)
 Nikswerd en goddelose man (12-15)
 Sewe dinge wat Jehovah haat (16-19)
 Pasop vir slegte vrouens (20-35)
- 7 Gehoorzaam God se gebooie en lewe (1-5)
 Onervare jong man verlei (6-27)
 “Soos ’n bul wat geslag gaan word” (22)
- 8 Wysheid praat (1-36)
 ‘Ek is die eerste van God se werke’ (22)
 ‘As meesterwerker saam met God’ (30)
 ‘Ek was lief vir die mensekinders’ (31)
- 9 Uitnodiging van ware wysheid (1-12)
 “Deur my sal jou dae baie wees” (11)
 Uitnodiging van dwase vrou (13-18)
 “Gesteelde waters is soet” (17)
- 10 SPREUKE VAN SALOMO (10:1-24:34)
 Wyse seun maak sy pa bly (1)
 Hardwerkende hande bring rykdom (4)
 Baie praat lei tot oortreding (19)
 Seën van Jehovah maak ryk (22)
 Vrees vir Jehovah lei tot langer lewe (27)
- 11 Wysheid is by dié wat beskeie is (2)
 Afvallige veroorsaak ander se ondergang (9)
 “Met baie raadgewers word sukses behaal” (14)
 Vrygewige persoon sal voorspoedig wees (25)
 Een wat op rykdom vertrou, sal tot ’n val kom (28)
- 12 Een wat teregwysing haat, verstandeloos (1)
 Woorde soos swaardsteke (18)
 Om vrede te bevorder, bring vreugde (20)
 Lippe wat leuens vertel, is vir Jehovah afskuwelik (22)
 Angstigheid maak mens terneergedruk (25)
- 13 Dié wat raad soek, is wys (10)
 Uitgestelde verwagting maak hart siek (12)
 Betroubare boodskapper bring genesing (17)
 Assosiasie met wyse persone maak mens wys (20)
 Dissipline, bewys van liefde (24)
- 14 Net jy ken pyn in jou hart (10)
 Weg wat reg lyk, kan na dood lei (12)
 Onervarene glo elke woord (15)
 Ryk man het baie vriende (20)
 Kalm hart beteken lewe vir liggaam (30)
- 15 Sagte antwoord laat woede bedaar (1)
 Jehovah se oë is oral (3)
 Gebed van getroues vir God aangenaam (8)
 Planne misluk as saak nie bespreek word nie (22)
 Dink na voordat jy antwoord (28)
- 16 Jehovah kyk na rede waarom mens iets doen (2)
 Vertrou wat jy doen, aan Jehovah toe (3)
 Akkurate weegskaal kom van Jehovah (11)
 Trots lei tot ondergang (18)
 Grys hare ’n pragtige kroon (31)
- 17 Moenie goeie met slegte terugbetaal nie (13)
 Gaan weg voordat stryery begin (14)
 Ware vriend betoon altyd liefde (17)
 “Vreugdevolle hart is soos goeie medisyne” (22)
 Man met insig hou woorde terug (27)
- 18 Iemand wat hom afsonder, is selfsugtig en onverstandig (1)
 Jehovah se naam ’n sterk toring (10)
 Rykdom bied beskerming in ryk man se verbeelding (11)
 Wys om na albei partye te luister (17)
 Vriend wat lojaler is as broer (24)
- 19 Insig keer dat mens gou kwaad word (11)
 Stryerige vrou soos dak wat lek (13)
 Verstandige vrou kom van Jehovah (14)

- Dissiplineer kind terwyl daar hoop is (18)
Wys om na raad te luister (20)
- 20 Wyn maak mense belaglik (1)
Luisaard ploeg nie in winter nie (4)
Man se gedagtes soos diep waters (5)
Moenie oorhaastig beloftes aan God maak nie (25)
Prag van jong manne is hulle krag (29)
- 21 Jehovah kan koning se hart lei (1)
Om te doen wat reg is, beter as offerande (3)
Harde werk lei tot sukses (5)
Een wat armes ignoreer, sal nie gehoor word nie (13)
Geen wysheid teen Jehovah nie (30)
- 22 Goeie naam beter as baie rykdom (1)
"Lei 'n kind op" (6)
Luisaard bang vir leeu buite (13)
Dissipline verwyder dwaasheid (15)
Goeie werker sal voor konings staan (29)
- 23 Wees beskeie as jy gasvryheid geniet (2)
Moenie rykdom najaag nie (4)
Rykdom kan wegvlieg (5)
Bly weg van dié wat te veel drink (20)
Alkohol sal soos slang byt (32)
- 24 "Moenie jaloers wees op goddelose mense nie" (1)
"Deur wysheid word 'n huis opgebou" (3)
Regverdige kan val, maar sal opstaan (16)
Moenie wraak neem nie (29)
Luiheid lei tot armoede (33, 34)
- 25 SPREUKE VAN SALOMO WAT KONING HISKIA SE MANNE OPGESKRYF HET (25:1-29:27)
Vertroulikheid (9)
Woord op regte tyd (11)
Respekteer privaatheid (17)
Kole op vyand se kop (21, 22)
Goeie berig soos koue water (25)
- 26 Beskrywing van luisaard (13-16)
Moenie betrokke raak wanneer ander stry nie (17)
- "Dit was net 'n grap" (18, 19)
Geen hout, geen vuur (20, 21)
Lasteraar se woorde soos lekker eetgoed (22)
- 27 Teregwysing van vriend is goed (5, 6)
My seun, maak my hart bly (11)
Yster slyp yster (17)
Weet hoe dit met jou kudde gaan (23)
"Rykdom hou nie vir ewig nie" (24)
- 28 Gebed van ongehoorsame is afskuwelik (9)
Genade vir persoon wat sonde bely (13)
Moenie probeer om vinnig ryk te word nie (20)
Teregwysing beter as vleierey (23)
Vrygewige kom niks kort nie (27)
- 29 Kind aan homself oorgelaat, bring skande (15)
Sonder God se leiding ruk volk handuit (18)
Man wat gou kwaad word, maak moeilikheid (22)
Nederige verkry eer (23)
Mensevrees 'n strik (25)
- 30 WOORDE VAN AGUR (1-33)
Moenie vir my rykdom of armoede gee nie (8)
Dinge wat nooit versadig raak nie (15, 16)
Dinge wat geen spoor agterlaat nie (18, 19)
Vrou wat egbreuk pleeg (20)
Diere instinkties wys (24)
- 31 WOORDE VAN KONING LEMUEL (1-31)
"Wie kan 'n goeie vrou vind?" (10)
Hardwerkend (17)
Onderrig met liefde (26)
Man en kinders prys haar (28)
Sjarme en mooi voorkoms hou nie vir altyd nie (30)

1 Die spreuke van Salomo,^a die seun van Dawid,^b die koning van Israel.^c

2 Hierdie spreuke bied wysheid^d en dissipline en hulp om wyse woorde te verstaan.

3 Dit gee dissipline^e wat lei tot insig, regverdigheid,^f goeie oordeel^g en beginselvastheid.

4 Dit maak iemand wat onervare is, verstandig.^h Dit gee aan 'n jong man kennis en denkvermoë.ⁱ

5 'n Wyse persoon luister en neem meer kennis in.^j 'n Verstandige man vra vir wyse leiding.^k

6 om 'n spreuk en 'n moeilike gesegde,^{*} die woorde van wyses en hulle raaisels,^l te verstaan.

7 Vrees* vir Jehovah is die begin van kennis.^m Net dwase haat wysheid en dissipline.ⁿ

8 Luister, my seun, na die dissipline van jou pa,^o en moenie die onderrigting* van jou ma verwerp nie.^p

9 Dit is 'n aantreklike krans vir jou kop^q en 'n pragtige versiering vir jou nek.^r

10 My seun, as sondaars jou probeer mislei, moet jy hulle nie volg nie.^s

11 Hulle sê dalk: "Kom saam met ons. Laat ons iemand voorlê en hom doodmaak. Ons sal wegkruip en wag vir onskuldige slagoffers.

12 Ons sal hulle lewend insluk net soos die Graf,* heel, soos dié wat diep in die aarde afdaal.

HFST. 1

a 1Kn 4:29, 32
Pr 12:9

b 2Sa 12:24

c 1Kn 2:12

d Spr 8:11

e Spr 3:11, 12

f Heb 12:11

g 1Kn 3:28

h Spr 15:5

i Spr 2:11

Spr 3:21

Spr 8:12

j Spr 9:9

k 1Sa 25:32, 33

Spr 24:6

l Pr 12:11

m Job 28:28

Spr 9:10

n Spr 5:12, 13

Spr 18:2

o De 6:6, 7

Ef 6:4

Heb 12:9

p Le 19:3

Spr 31:26

2Ti 1:5

q Spr 4:7, 9

r Spr 3:21, 22

s Ge 39:7, 8

De 13:6-8

Tweede kol.

a Spr 4:14

Spr 13:20

1Kor 15:33

b Spr 6:16-18

Ro 3:15

c Spr 15:27

d Ro 16:27

1Kor 1:20

Jak 3:17

e Mt 10:27

f Spr 8:1-3

Spr 9:1, 3

g Joh 18:20

Han 20:20

h Spr 5:12, 13

Joh 3:20

i Ps 141:5

Op 3:19

13 Laat ons al hulle kosbare skatte vat. Ons sal ons huise daarmee vul.

14 Kom saam met ons, en ons sal alles wat ons steel, gelykop verdeel.*

15 My seun, jy moet hulle nie volg nie. Bly weg van hulle paaie.^a

16 Want hulle is haastig om slegte dinge te gaan doen. Hulle kan nie wag om iemand te vermoor nie.^b

17 Dit help nie om 'n vangnet te span waar 'n voël dit kan sien nie.

18 Daarom lê hulle mense voor om hulle dood te maak. Hulle wag in hulle wegkruipplekke om mense te vermoor.

19 So tree mense op wat op 'n oneerlike manier wins probeer maak.

Dié wat dit verkry, sal hulle lewe verloor.^c

20 Ware wysheid^d roep uit in die straat.^e Dit roep hard uit op die openbare pleine.^f

21 Op die hoek van die besige strate roep dit uit. By die ingange van die stadspoorte sê dit:^g

22 "Onervarenes, hoe lank sal julle lief wees vir onervarenheid?

Spotters, hoe lank sal julle dit geniet om te spot?

En dwase, hoe lank sal julle kennis haat?^h

23 Luister* wanneer ek julle tereg wys.ⁱ

Dan sal ek vir julle wysheid* gee.

1:6 *Of "n gelykenis". 1:7 *Of "Diep respek". 1:8 *Of "wet". 1:12 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

1:23 *Of "Draai om". #Lett. "my gees". Verwys moontlik na wysheid wat deur God se gees voorsien word.

- Ek sal my woorde aan julle bekend maak.^a
- 24** Want ek het geroep, maar julle wou nie luister nie. Ek het my hand uitgesteek, maar niemand het aandag geskenk nie.^b
- 25** Julle het al my raad bly ignoreer en my teregwysing verwerp.
- 26** Daarom sal ek lag wanneer rampspoed julle tref. Ek sal spot wanneer dit wat julle vrees, oor julle kom,^c
- 27** wanneer dit wat julle vrees, soos 'n storm kom en julle rampspoed soos 'n stormwind aankom, wanneer moeilike tye en probleme julle tref.
- 28** Dan sal hulle na my bly roep, maar ek sal nie antwoord nie. Hulle sal my bly soek, maar hulle sal my nie vind nie.^d
- 29** Want hulle het kennis gehaat^e en hulle het gekies om Jehovah nie te vrees nie.^f
- 30** Hulle het my raad verwerp. Hulle het geen respek vir my teregwysing gehad nie.
- 31** Daarom sal hulle die gevolge van hulle dade dra,^g en hulle sal in al hulle planne verstik.
- 32** Want die hardkoppigheid van die onervarenes sal tot hulle dood lei, en die oorgerustheid van die dwase sal hulle vernietig.
- 33** Maar die een wat na my luister, sal in veiligheid woon^h en sal nie vir rampspoed bang wees nie."ⁱ
- 2** My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooi as 'n skat bewaar^j
- 2** deur aandagtig na wysheid te luister^k

HFST. 1

a Jes 54:13

b Jes 65:12

c Rig 10:13, 14

d Klg 3:44

e Ho 4:6

f Rig 5:8

g Jer 6:19

Ga 6:7

h Jes 48:18

i 2Kn 6:15, 16

Jes 26:3

2Pe 2:9

HFST. 2

j De 6:6, 8

k Spr 1:5

Tweede kol.

a Heb 5:14

b 1Kn 3:11, 12

Spr 9:10

2Ti 2:7

c Flp 1:9

d Ps 19:9, 10

e Job 28:15-18

f Job 28:28

Spr 8:13

Jer 32:40

g Jer 9:24

1Jo 5:20

h Eks 31:2, 3

1Kn 4:29

2Ti 3:16, 17

Jak 3:17

i Ps 41:12

Spr 28:18

j Ps 97:10

k Pr 12:13

Mi 6:8

Mt 22:37-40

l Ps 119:111

m Han 17:11

n Pr 7:12

o Spr 8:13

p Joh 3:19

en jou hart oop te maak om insig te verkry;^a

3 en as jy na begrip roep^b en vir insig vra;^c

4 as jy daarna bly soek soos na silwer^d

en hard daarna bly soek soos na versteekte skatte;^e

5 dan sal jy verstaan wat dit beteken om Jehovah te vrees,^f

en jy sal God leer ken.^g

6 Want Jehovah gee wysheid,^h en sy woorde gee 'n mens kennis en insig.

7 Hy bewaar praktiese wysheid as 'n skat vir dié wat reg lewe.

Hy is 'n skild vir dié wat 'n weg van integriteit* volg.ⁱ

8 Hy waak oor die paaie van geregtigheid, en hy sal sy lojales op hulle weg beskerm.^j

9 Dan sal jy verstaan wat reg en regverdig is en wat die goeie weg is.^k

10 Wanneer wysheid in jou hart ingaan^l en jou siel* lief word vir kennis,^m

11 sal denkvermoë oor jou wag houⁿ en sal insig jou beskerm.

12 Dit sal jou beskerm teen die slegte weg, teen mense wat verkeerde dinge sê,^o

13 teen dié wat die regte pad verlaat om die weë van duisternis te volg,^p

14 teen dié wat dit geniet om verkeerde dinge te doen, wat vreugde vind in uifers goddelose dinge,

15 dié wie se paaie krom is en wat altyd bedrieglik is.

2:7 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. **2:10** *Sien Woordelys.

- 16** Dit sal jou beskerm teen die slegte* vrou, teen die verleidelike woorde van die onsedelike[#] vrou,^a
- 17** wat haar man* verlaat^b en wat die verbond tussen haar en God vergeet.
- 18** Want haar huis lei na die dood, en haar paaie lei na die graf.^c
- 19** Niemand wat by haar ingaan,* sal terugkeer nie, en hulle sal nie weer die paaie na die lewe vind nie.^d
- 20** Daarom moet jy die weg van goeie mense volg en op die paaie van die regverdiges bly.^e
- 21** Want net die goeie mense sal op die aarde woon, en dié wat 'n rein lewe lei,* sal daarop oorbly.^f
- 22** Maar goddelose mense sal van die aarde af uitgeroei word,^g en bedrieglike mense sal daarvan weggeruk word.^h
- 3** My seun, moenie vergeet wat ek jou leer nie,* en gehoorsaam my gebooië met jou hele hart,
- 2** want dan sal jy 'n lang lewe en vrede geniet.ⁱ
- 3** Moenie dat lojale liefde en getrouheid* jou verlaat nie.^j
- Bind dit om jou nek. Skryf dit op jou hart.^{#k}

2:16 *Lett. "vreemde". Blykbaar 'n vrou wat sedelik vervreemd is van God. #Lett. "uitlandse". Blykbaar 'n vrou wat sedelik vervreemd is van God. **2:17** *Lett. "die hegte vriend van haar jeug". **2:19** *Of "seksuele omgang met haar het". **2:21** *Of "wat hulle integriteit behou". Sien Woordelys. **3:1** *Of "moenie my wet vergeet nie". **3:3** *Of "waarheid". #Of "die tablet van jou hart".

HFST. 2

a Ge 39:10-12
Spr 6:23, 24
Spr 7:4, 5

b Ge 2:24
Spr 5:18

c Spr 5:3, 5
Spr 5:20, 23
Spr 9:16-18
Ef 5:5

d Pr 7:26
Op 22:15

e Spr 13:20

f Ps 37:11, 29

g Ps 104:35
Spr 10:7
Mt 25:46

h De 28:45, 63

HFST. 3

i De 5:16

j Ho 12:6

k De 6:6, 8

Tweede kol.

a 2Kor 8:21

b Jes 26:4
Jer 17:7

c Spr 28:26
Jer 10:23
1Kor 3:18

d 1Sa 23:2, 4
Ne 1:11
Flp 4:6

e Jos 1:7
Ps 25:9
Jak 1:5

f Spr 26:12
Ro 12:16

g Nu 31:50
De 16:16
Lu 16:9
1Ti 6:18

h Eks 23:19

i 2Kr 31:10
Mal 3:10

j Spr 15:32
Heb 12:5, 6

k Ps 94:12

l Op 3:19

m De 8:5
Heb 12:7, 9

n Pr 7:12

o Job 28:15, 18

- 4** Dan sal jy die goedkeuring van God en van mense geniet, en hulle sal jou beskou as iemand met insig.^a
- 5** Vertrou op Jehovah^b met jou hele hart, en moenie op jou eie begrip staatmaak nie.^c
- 6** Neem hom in ag in alles wat jy doen,^d en hy sal jou paaie gelykmaak.^e
- 7** Moenie wys word in jou eie oë nie.^f Vrees Jehovah en vermy wat sleg is.
- 8** Dit sal vir jou* genesing bring en vir jou* nuwe krag gee.
- 9** Eer Jehovah met jou waardevolle dinge^g en met die beste* van jou hele oes.^{#h}
- 10** Dan sal jou voorraadskure heeltelmal vol wees,ⁱ en jou vate* sal oorloop van nuwe wyn.
- 11** My seun, moenie die dissipline van Jehovah verwerp nie,^j en moenie sy teregwysing haat nie,^k
- 12** want Jehovah dissiplineer dié wat hy liefhet,^l net soos 'n pa 'n geliefde seun dissiplineer.^m
- 13** Gelukkig is die mens wat wysheid vindⁿ en die mens wat insig verkry.
- 14** Om dit te verkry, is beter as om silwer te verkry, en om dit te besit, is beter as om goud te besit.^o

3:8 *Lett. "jou naeltjie". #Lett. "jou gebeente". **3:9** *Of "eersteling". Sien Woordelys. #Of "inkomste". **3:10** *Of "wynperse".

- 15** Dit is kosbaarder as korale.*
Niks wat jy begeer, kan
daarmee vergelyk word
nie.
- 16** Met die een hand gee wys-
heid 'n lang lewe,
en met die ander hand
rykdom en eer.
- 17** Sy weë is aangenaam,
en al sy paaie is vreedsaam.^a
- 18** Dit is 'n boom van die lewe
vir dié wat dit vasgryp,
en dié wat dit stewig vas-
hou, sal gelukkig genoem
word.^b
- 19** Jehovah het die fundamente
van die aarde met wysheid
gelê.^c
Hy het die hemele met insig
stewig gevestig.^d
- 20** Deur sy kennis is die water-
dieptes geskei
en het dou uit die bewolkte
lug gedrup.^e
- 21** My seun, hou dit* altyd in
gedagte.
Bewaar praktiese wysheid
en denkvermoë.
- 22** Dit sal vir jou lewe gee
en 'n versiering om jou nek
wees.
- 23** Dan sal jy veilig op jou pad
loop,
en jy sal nie struikel* nie.^f
- 24** Wanneer jy gaan lê, sal jy
nie bang wees nie.^g
Jy sal gaan lê, en jy sal
rustig slaap.^h
- 25** Jy sal nie bang wees vir
'n skielike rampⁱ
of vir die storm wat die god-
deloses sal tref nie.^j
- 26** Want Jehovah sal jou ver-
troue wees.^k
Hy sal keer dat jy in 'n strik
beland.^l

3:15 *Sien Woordelys. 3:21 *Verwys
blykbaar na God se eienskappe wat
in die vorige verse genoem word.
3:23 *Of "sal nooit jou voet teen iets
stamp".

HFST. 3

- a Flp 4:9
b Ps 1:1, 2
c Ps 104:24
d Spr 8:27
Jer 10:12
e Job 36:27
Job 38:37
Jer 10:13
f Jes 26:7
g Ps 3:5
Spr 6:22
h Pr 5:12
i Ps 27:1
j Ps 73:12, 19
k Spr 10:29
Spr 28:1
l Ps 91:14

Tweede kol.

- a Jak 2:15, 16
b De 15:7, 8
Spr 28:27
c Spr 6:16, 18
d Spr 18:6
Spr 20:3
e Ro 12:18
f Ps 37:1
Spr 23:17
g Spr 6:16, 17
h Ps 15:1, 2
Ps 24:3, 4
Ps 25:14
i De 28:15
Jos 7:24, 25
Est 9:24, 25
j Job 42:12, 13
Ps 37:25
k Spr 19:29
l Ps 37:11
Ps 138:6
Jes 57:15
Jak 4:6
m Est 6:11, 12
Spr 12:8

HFST. 4

- n De 6:6, 7
Spr 19:20
Ef 6:1
o 1Kr 28:9
p 1Kn 2:12
q 1Kn 1:16-21
r De 4:9

- 27** Moenie die goeie terughou
van dié wat dit nodig het*^a
as dit vir jou moontlik is om
te help nie.^b
- 28** Moenie vir iemand sê: "Gaan
eers weg, en kom later te-
rug! Ek sal jou môre help,"
as jy nou kan help nie.
- 29** Moenie beplan om iets slegs
te doen aan iemand^c
wat vol vertroue by jou
woon nie.
- 30** Moenie sonder rede met
iemand stry^d
as hy niks aan jou gedoen
het nie.^e
- 31** Moenie jaloers raak op 'n
gewelddadige man nie,^f
en moenie doen wat hy
doen nie.
- 32** Want Jehovah haat mense
wat bedrieglik is,^g
maar hy is 'n goeie vriend
van dié wat reg lewe.^h
- 33** Jehovah vervloek die huis
van die goddeloses,ⁱ
maar hy seën die huis van
die regverdiges.^j
- 34** Hy bespot dié wat spot,^k
maar hy gee sy goedkeuring
aan die nederiges.^l
- 35** Die wyses sal eer ontvang,
maar die dwase is trots op
dinge wat tot skande lei.^m
- 4** Luister, my seuns, na die
dissipline van 'n pa.ⁿ
Skenk aandag sodat julle
begrip kan verkry,
2 want ek sal julle goeie
onderrigting gee.
Bly by wat ek julle leer.*^o
3 Ek was 'n ware seun vir
my pa,^p
en die een vir wie my ma
besonder lief was.^q
4 Hy het my geleer en gesê:
"Bewaar my woorde in
jou hart.^r

3:27 *Of "dié aan wie dit toekom".
4:2 *Of "my wet".

- Gehoorzaam my gebooe en bly lewe.^a
- 5** Verkry wysheid, verkry begrip.^b
Moenie my woorde vergeet nie, en bly by wat ek sê.
- 6** Moet dit nie verlaat nie, en dit sal jou beskerm.
Wees lief daarvoor, en dit sal jou veilig hou.
- 7** Wysheid is van die grootste belang.^c Verkry dus wysheid,
en maak seker dat jy ook begrip verkry.^d
- 8** Beskou dit as baie waardevol, en dit sal vir jou eer bring.^e
Dit sal vir jou respek bring omdat jy lief is daarvoor.^f
- 9** Dit sal 'n pragtige krans op jou kop wees.
Dit sal jou versier soos 'n pragtige kroon.”
- 10** Luister, my seun, en aanvaar wat ek sê.
Dan sal jy 'n lang lewe hê.^g
- 11** Ek sal jou leer wat die weg van wysheid is.^h
Ek sal jou lei sodat jy die regte pad kan volg.ⁱ
- 12** Wanneer jy loop, sal daar niks in jou pad wees nie.
En as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.
- 13** Hou vas aan dissipline. Moet dit nie laat gaan nie.^j
Bewaar dit, want dit beteken jou lewe.^k
- 14** Moenie op die pad van die goddeloses loop nie,
en moenie die weg van slegte mense volg nie.^l
- 15** Vermy dit, moenie daarop loop nie.^m
Draai weg daarvan en gaan verby.ⁿ
- 16** Want hulle kan nie slaap as hulle nie slegte dinge doen nie.
- HFST. 4
a Le 18:5
b Ne 8:3, 8
Spr 9:10
c Pr 7:12
d Spr 15:14
Mt 13:23
Heb 5:14
e Da 1:17, 20
f 1Kn 4:29
g De 5:16
h 1Kn 4:29
i Jes 26:7
j Spr 8:10
Heb 2:1
Heb 12:5, 6
k De 32:45-47
Heb 12:11
l Ps 1:1
1Kor 15:33
m Am 5:15
Ef 5:11
n Spr 5:3, 8
1Te 5:22
- Tweede kol.
a 2Sa 23:3, 4
Ps 119:105
1Kor 13:12
2Kor 4:6
2Pe 1:19
b Ps 40:8
Spr 2:1
c 1Ti 4:8
d Jer 17:9
Mr 7:21-23
Ef 6:14
e 1Pe 2:1
f Mt 6:22
g Ef 5:15
h De 12:32
Jos 1:7
- HFST. 5
i 1Kn 4:29
Jak 1:19

- Hulle lê wakker as hulle nie iemand se ondergang kan veroorsaak nie.
- 17** Goddeloosheid is vir hulle soos brood,
en geweld is vir hulle soos wyn.
- 18** Maar die pad van die regverdiges is soos die helder oggendlig
wat al hoe helderder word totdat dit heeltemal dag is.^a
- 19** Die weg van die goddeloses is soos die donker.
Hulle weet nie waaroor hulle struikel nie.
- 20** My seun, skenk aandag aan my woorde.
Luister mooi na wat ek sê.
- 21** Moet dit nooit vergeet nie.
Bewaar dit diep in jou hart.^b
- 22** Want dit beteken lewe vir dié wat dit vind^c
en gesondheid vir hulle hele liggaam.
- 23** Beskerm* jou hart meer as enigiets anders wat jy beskerm,^d
want jou lewe hang af van wat in jou hart is.
- 24** Moenie leuens vertel nie,^e
en moet nooit misleidende dinge sê nie.
- 25** Kyk reguit vorentoe.
Ja, hou jou oë gefokus op wat voor jou is.^f
- 26** Verwyder die struikelblokke op jou pad,^{*g}
dan sal jy in veiligheid daarop kan loop.
- 27** Moet hierdie pad glad nie verlaat nie,^h
en bly weg van wat sleg is.
- 5** My seun, skenk aandag aan my wysheid.
Luister mooi na wat ek jou oor insig leer,ⁱ

4:23 *Of "Bewaak". **4:26** *Of moontlik "Dink goed na oor die pad wat jy wil volg".

- 2 sodat jy jou denkvermoë kan beskerm en altyd met kennis kan praat.^a
- 3 Want die lippe van die slegte* vrou drup soos 'n heuningkoek^b en haar mond is gladder as olie.^c
- 4 Maar op die ou end is sy so bitter soos als^d en veroorsaak sy pyn soos 'n skerp* swaard.^e
- 5 Haar voete gaan af na die dood. Haar voetstaple lei reguit na die Graf.*
- 6 Sy stel nie belang in die pad na die lewe nie. Sy swerf rond en weet nie waarheen sy gaan nie.
- 7 En nou, my seuns, luister na my en bly by wat ek julle leer.
- 8 Bly ver weg van haar. Moenie naby die ingang van haar huis kom nie,^f
- 9 sodat jy nie jou waardigheid aan ander gee^g of die res van jou lewe ly nie;^h
- 10 sodat vreemdelinge nie jou besittings* kry,ⁱ en ander die dinge waarvoor jy hard gewerk het nie.
- 11 Anders sal jy aan die einde van jou lewe swaarkry wanneer jou hele liggaam wegteer.^j
- 12 En dan sal jy sê: "Hoekom het ek dissipline so gehaat, en hoekom het my hart teregwyding gehaat?"
- 13 Ek het nie na die stem van my onderrigters geluister

5:3, 20 *Lett. "vreemde". Sien Spr 2:16. 5:4 *Lett. "tweesnydende". 5:5 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. 5:10 *Of "krag".

HFST. 5

a Spr 15:7

b Spr 7:14-21

c Spr 9:16, 17

d Pr 7:26

e Spr 6:32, 33

f Spr 9:14, 15

g Spr 29:3

h Spr 6:33-35
Spr 7:23

i Spr 31:3
Lu 15:30

j Spr 7:22, 23

Tweede kol.

a Spr 6:27-29

b 1Kor 7:3
Heb 13:4

c Spr 5:20

d Ge 2:24

e De 24:5
Pr 9:9

f Hgl 2:9

g Ge 26:8
Ge 29:20
Hgl 8:6

h Spr 22:14

i 2Kr 16:9
Ps 11:4
Ps 17:3
Jer 17:10
Heb 4:13

j Ps 7:14-16
Ga 6:7

of aandag geskenk aan die mense wat my geleer het nie.

- 14 Ek staan op die rand van die afgrond, en almal kan dit sien."^{**a}
- 15 Drink water uit jou eie reënput en strome* water uit jou eie fontein.^b
- 16 Moet jou fontein dan op verskillende plekke versprei wees, en jou waterstrome op die openbare pleine?^c
- 17 Laat jou waterstrome vir jou alleen wees, en nie vir vreemdelinge nie.^d
- 18 Mag jou eie fontein geseënd wees, en vind vreugde in die vrou van jou jeug,^e
- 19 'n lieflike wildsbokkie, 'n pragtige bergbokkie.^f Laat haar borste jou te alle tye vreugde gee. Mag jy altyd groot genot vind in haar liefde.^g
- 20 My seun, hoekom moet jy dan by 'n slegte* vrou genot vind of 'n onsedelike[#] vrou[^] omhels?^h
- 21 Want Jehovah sien die weë van die mens, en hy ondersoek al sy paaie.ⁱ
- 22 Die goddelose persoon word vasgevang in sy eie oortredings, en hy sal deur die toue van sy eie sonde gevang word.^j
- 23 Hy sal sterf omdat daar geen dissipline was nie en afdwaal as gevolg van sy groot dwaasheid.

5:14 *Lett. "in die gemeenskap en die gemeente". 5:15 *Of "vars". 5:20 [#]Lett. "uitlandse". Sien Spr 2:16. [^]Of "die boesem van 'n onsedelike vrou".

- 6** My seun, as jy vir jou medemens borg gestaan het,^a as jy 'n ooreenkoms gemaak het* met 'n vreemdeling,^b
- 2** as jy verstrik geraak het deur wat jy belowe het en vasgevang is deur jou eie woorde,^c
- 3** dan moet jy die volgende doen, my seun, en jouself bevry, want jy het in die mag* van jou medemens beland: Gaan verneder jou voor jou medemens en pleit by hom.^d
- 4** Moenie rus nie en moenie jou oë toemaak om te slaap nie.
- 5** Bevry jouself soos 'n wildsbok uit die hand van die jagter en soos 'n voël uit die hand van die voëlvanger.
- 6** Gaan na die mier, jou luiaard.^e Hou hom dop en word wys.
- 7** Hoewel hy geen bevelvoerder, opsigter of leier het nie,
- 8** berei hy sy kos in die somer voor^f en samel hy sy kosvoorraad tydens die oes in.
- 9** Hoe lank sal jy daar lê, jou luiaard? Wanneer gaan jy wakker word en opstaan?
- 10** Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om te rus,^g
- 11** en jou armoede sal kom soos 'n dief, en swaarkry sal jou oorval soos 'n gewapende man.^h
- 12** 'n Nikswerd en goddelose man versprei leuens.ⁱ

6:1 *Of "hand geskud het". 6:3 *Lett. "hand".

HFST. 6
a Spr 17:18
b Spr 11:15
Spr 20:16
c Spr 18:7
d Mt 5:25
e Spr 10:26
Spr 26:13-15
f Spr 30:24, 25
g Spr 20:13
Spr 24:33, 34
Pr 4:5
h Spr 13:4
Spr 20:4
Spr 24:30-34
i Spr 16:27
Jak 3:6

Tweede kol.

a Spr 10:10
Spr 16:30
b Ps 36:1, 4
Jes 32:7
Mi 2:1
c Spr 16:28
Ro 16:17
d Ps 73:12, 18
e Ps 101:5
Spr 8:13
Spr 16:5
f Spr 12:22
Op 21:8
g Ge 4:8, 10
Nu 35:31
De 27:25
h Spr 11:20
Sag 8:17
Mal 2:16
i Eks 23:1
j Le 19:16
Ga 5:20, 21
Jak 3:14, 15
k De 21:18, 21
Ef 6:1
l Ps 119:105
m Jes 51:4

n Spr 4:13
Heb 12:11

- 13** Hy knip sy oog,^a beduie met sy voet en gee tekens met sy vingers.
- 14** Omdat sy hart sleg is, beplan hy heeltyd slegte dinge^b en maak hy moeilikheid waar hy ook al gaan.^c
- 15** Daarom sal rampspoed hom skielik tref. In 'n oomblik sal sy ondergang kom, en daar sal geen genesing wees nie.^d
- 16** Daar is ses dinge wat Jehovah haat; ja, sewe dinge wat vir hom afskuwelik is:
- 17** Oë vol hoogmoed,^e 'n tong wat leuens vertel^f en hande wat onskuldige mense doodmaak,^g
- 18** 'n hart wat goddelose dinge beplan^h en voete wat gou is om na slegtheid te hardloop,
- 19** 'n valse getuie wat die een leuen ná die ander vertelⁱ en iemand wat onenigheid tussen broers veroorsaak.^j
- 20** My seun, gehoorsaam die gebod van jou pa en moenie die onderrigting* van jou ma verwerp nie.^k
- 21** Bind dit vir altyd om jou hart; bind dit om jou nek.
- 22** Wanneer jy loop, sal dit jou lei; wanneer jy gaan lê, sal dit oor jou wag hou; en wanneer jy wakker word, sal dit vir jou sê wat om te doen.*
- 23** Want die gebod is 'n lamp,^l en die wet is 'n lig,^m en teregwysing en dissipline is die weg na die lewe.ⁿ

6:20 *Of "wet". 6:22 *Of "jou onderrig".

- 24** Dit sal jou beskerm teen die slegte vrou,^a teen die verleidelike tong van die onsedelike* vrou.^b
- 25** Moet haar nie in jou hart begeer omdat sy mooi is nie,^c en moenie toelaat dat sy jou met haar verleidelike oë vang nie.
- 26** Want weens 'n prostituut sal 'n man net 'n brood oorhê,^d maar 'n ander man se vrou kan 'n man sy lewe kos.
- 27** Kan iemand brandende kole teen sy lyf hou sonder dat sy klere aan die brand raak?^e
- 28** Of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brand?
- 29** So gaan dit ook met iemand wat seksuele omgang het met 'n ander man se vrou. Niemand wat aan haar raak, sal ongestraf bly nie.^f
- 30** Mense hou dit nie teen 'n dief as hy steel omdat hy honger is nie.
- 31** Maar as hy gevang word, sal hy sewe keer soveel moet terugbetaal. Hy sal al die waardevolle dinge in sy huis moet gee.^g
- 32** Enigiemand wat met 'n vrou egbreuk pleeg, het geen verstand nie. Die een wat dit doen, bring rampspoed oor homself.^h
- 33** Hy sal net pyn en vernedering oor homself bring,ⁱ en sy skande sal nie uitgewis word nie.^j
- 34** Want jaloesie sal die vrou se man woedend maak. Hy sal geen genade betoon wanneer hy wraak neem nie.^k

6:24; 7:5 *Lett. "uitlandse". Sien Spr 2:16.

HFST. 6

a Pr 7:26

b Spr 5:3
Spr 7:4, 5

c Mt 5:28
Jak 1:14, 15

d Spr 29:3
Lu 15:16, 30

e Ga 6:7

f 2Sa 11:4
2Sa 12:10, 11
Spr 6:32-35
Heb 13:4

g Eks 22:1, 4

h Spr 2:18, 19
Spr 5:20, 23
Mal 3:5
1Kor 6:9, 10
Heb 13:4

i Spr 5:8, 9

j 1Kn 15:5
1Kr 5:1
Mt 1:6

k Ge 39:19, 20

Tweede kol.

HFST. 7

a Spr 10:14

b Le 18:5
De 5:16
Jes 55:3
Joh 12:50

c Spr 2:10, 11

d Spr 23:27, 28

e Spr 2:11, 16
Spr 5:3
Spr 6:23, 24

f Spr 6:32
Spr 9:16, 17

g Job 24:15

h Jer 4:30

i Spr 9:13-18

- 35** Daar is niks wat jy kan doen om te vergoed nie. Geen geskenk sal hom tot bedaring bring nie, al is dit ook hoe groot.

- 7** My seun, gehoorsaam my woorde, en bewaar my gebooië soos 'n skat.^a
- 2** Gehoorsaam my gebooië en bly lewe.^b Laat my onderrigting* vir jou so kosbaar wees soos die appel van jou oog.
- 3** Bind hulle om jou vingers. Skryf hulle op jou hart.*^c
- 4** Sê vir wysheid: "Jy is my suster," en beskou begrip as 'n familielid.
- 5** Dit sal jou beskerm teen die slegte# vrou,^d teen die onsedelike* vrou en haar verleidelike woorde.^e
- 6** Ek het deur die venster van my huis, deur die traliewerk, afgekyk
- 7** en ek het die onervarenes gesien. Tussen die jongmense was daar 'n jong man wat onverstandig was.^f
- 8** Hy het in die straat geloop, en toe hy by haar hoek kom, het hy in die rigting van haar huis gestap,
- 9** in die skemer, vroeg in die aand,^g toe dit begin donker word.
- 10** Toe het ek 'n vrou na hom toe sien gaan. Sy was soos 'n prostituut aangetrek^h en sy was baie slinks.
- 11** Sy is lawaaiigerig en uitdagend.ⁱ Sy bly nooit by die huis nie.

7:2 *Of "my wet". 7:3 *Of "die tablet van jou hart". 7:5 #Lett. "vreemde". Sien Spr 2:16.

- 12** Die een oomblik is sy in die straat, dan is sy op die openbare pleine.
Sy is op die loer naby elke straathoek.^a
- 13** Sy gryp hom en soen hom. Skaamteloos sê sy vir hom:
- 14** "Ek moes vrede-offers* bring.^b
Vandag het ek my geloftes betaal.
- 15** Daarom het ek uitgekom om jou te ontmoet.
Ek het jou kom soek, en ek het jou gevind!
- 16** Ek het my bed met pragtige beddegoed oorgetrek, met kleurvolle linne uit Egipte.^c
- 17** Ek het mirre, aalwyn en kaneel^d op my bed gesprinkel.
- 18** Kom, laat ons drink van die liefde tot die oggend toe.
Laat ons passievolle liefde saam geniet,
- 19** want my man is nie by die huis nie.
Hy is op 'n lang reis.
- 20** Hy het 'n sak geld saam met hom geneem,
en hy kom eers op die dag van die volmaan terug."
- 21** Sy mislei hom met haar mooipraatjies.^e
Sy verlei hom met haar gladde woorde.
- 22** Skielik loop hy agter haar aan, soos 'n bul wat geslag gaan word,
soos 'n dwaas wat in kettings* gestraf gaan word,^f
- 23** en dan deurboor 'n pyl sy lewer.
Soos 'n voël wat in 'n vangnet invlieg, weet hy nie dat dit hom sy lewe sal kos nie.^g

7:14 *Of "gemeenskapsoffers". 7:22 *Of "in die blok".

HFST. 7
a Spr 23:27, 28
b Le 19:5
c Ese 27:7
d Hgl 3:6
Hgl 4:14
e Spr 5:3
f 1Kor 6:18
g Spr 5:8-11

Tweede kol.
a Spr 5:8
b Pr 7:26
c 1Kor 10:8

HFST. 8
d Spr 1:20, 21
e Mt 10:27
f Han 20:20
g Ps 19:7
h Ps 19:9, 10
Ps 119:72, 127
Spr 3:13-15

- 24** En nou, my seuns, luister na my.
Skenk aandag aan wat ek sê.
- 25** Maak seker dat jou hart jou nie in haar rigting lei nie.
Bly weg van haar paaie,^a
- 26** want baie het al haar slag-offers geword,^b
en sy het die dood van baie veroorsaak.^c
- 27** Haar huis lei na die Graf.*
Dit lei na die binnekamers van die dood.
- 8** Roep wysheid nie uit nie?
Laat insig nie sy stem hoor nie?^d
- 2** Dit staan op die hoogtes^e langs die pad
en by die kruispaaie.
- 3** Langs die stadspoorte en by die ingange
bly dit hard uitroep:^f
- 4** "Na julle, o mense, roep ek.
Ek laat elkeen my stem hoor.
- 5** Onervarenes, julle moet verstandig word.^g
Dwase, julle moet 'n wyse hart verkry.
- 6** Luister, want wat ek sê, is belangrik.
Ek vertel julle wat reg is.
- 7** Want die waarheid kom saggies uit my mond,
en my lippe haat wat goddeloos is.
- 8** Al die woorde van my mond is regverdig.
Dit is nie verdraaid of vals nie.
- 9** Dit is verstaanbaar vir almal wat insig het,
en dié wat kennis gevind het, weet dat dit reg is.
- 10** Kies my dissipline eerder as silwer
en kennis eerder as die suiwerste goud.^h

7:27 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

- 11** Want wysheid is beter as korale.*
Niks wat 'n mens kan begeer, kan daarmee vergelyk word nie.
- 12** Ek, wysheid, woon by verstandigheid.
Ek besit kennis en denkvermoë.^a
- 13** Vrees vir Jehovah beteken om te haat wat sleg is.^b
Ek haat selfverheerliking en trots^c en die slegte weg en bedrieglike woorde.^d
- 14** Ek het goeie raad en praktiese wysheid.^e
Verstandigheid^f en krag^g behoort aan my.
- 15** Deur my hou konings aan om te regeer
en neem hoë amptenare regverdige besluite.^h
- 16** Deur my hou leiers aan om te regeer
en oordeel heersers met regverdigheid.
- 17** Ek is lief vir dié wat my liefhet,
en dié wat my soek, sal my vind.ⁱ
- 18** By my is daar waardevolle dinge en eer,
blywende rykdom* en regverdigheid.
- 19** Wat ek gee, is beter as goud,
as suiwer goud,
en wat ek voortbring, is beter as die beste silwer.^j
- 20** Ek loop op die pad van regverdigheid,
in die middel van die paaie van geregtigheid.
- 21** Ek gee 'n groot erfdeel aan dié wat my liefhet,
en ek maak hulle stoor-kamers vol.
- 22** Jehovah het my voortgebring as die begin van sy weg,^k

8:11 *Sien Woordelys. 8:18 *Of "oorgeërfde waardes".

HFST. 8

a Spr 2:11
Spr 5:1, 2

b Ps 97:10
Ps 101:3
Spr 16:6
Ro 12:9

c Ps 101:5
1Pe 5:5

d Spr 4:24

e Spr 2:7

f Spr 4:7

g Spr 24:5

h Ps 72:1

i Spr 2:4, 5

j Spr 3:13, 14

k Joh 1:1-3, 14

Tweede kol.

a Kol 1:15-17

b Mi 5:2

c Joh 8:58
Joh 17:5

d Ge 1:2

e Ps 33:6
Jer 10:12

f Ge 1:6, 7
Job 26:10

g Job 38:8-11
Ps 33:7
Ps 104:6-9
Jer 5:22

h Ge 1:26
Joh 1:1, 3
Joh 17:5
Kol 1:15, 16

i Jes 42:1
Mt 3:17

j Job 38:7

die eerste van sy werke van lank gelede.^a

- 23** In die verre verlede is ek in my plek geplaas.^b
van die begin af, voordat die aarde bestaan het.^c
- 24** Ek is voortgebring toe daar nog nie diep waters was nie,^d
toe daar nog nie fonteine vol water was nie.
- 25** Voordat die berge op hulle plek geplaas is,
voordat die heuwels bestaan het, is ek voortgebring,
- 26** voordat hy die aarde en sy vlaktes gemaak het
of die eerste grondkluite van die aarde gevorm het.
- 27** Ek was daar toe hy die hemele gemaak het,^e
toe hy die horison* op die oppervlak van die waters afgemerk het,^f
- 28** toe hy die wolke daar bo geplaas het,
toe hy die bronne van die waterdieptes gevestig het,
- 29** toe hy grense vir die see gestel het,
sodat die waters nie verder sou gaan as wat hy beveel het nie,^g
toe hy die fundamente van die aarde gelê het.
- 30** Toe het ek as 'n mees-terwerker saam met hom gewerk.^h
Ek was die een vir wie hy dag ná dag besonder lief was.ⁱ
Ek was die hele tyd vreugdevol voor hom.^j
- 31** Ek was vreugdevol oor die aarde, wat bewoon kon word,
en ek was besonder lief vir die mensekinders.*

8:27 *Lett. "n sirkel". 8:31 *Of "die mensdom".

- 32** En nou, my seuns, luister na my.
Gelukkig is dié wat my weë volg.
- 33** Luister na dissipline^a en word wys, en moet dit nooit verwerp nie.
- 34** Gelukkig is die mens wat na my luister, wat dag ná dag vroeg by my deure is,* wat by my deurposte wag.
- 35** Want die een wat my vind, vind die lewe^b en ontvang Jehovah se goedkeuring.
- 36** Maar die een wat my ignoreer, benadeel homself, en dié wat my haat, is lief vir die dood.”^c
- 9** Ware wysheid het sy huis gebou.
Hy het sy sewe pilare uitgekap.
- 2** Hy het sy vleis voorberei.
Hy het sy wyn gemeng, en hy het sy tafel gedek.
- 3** Hy het sy slavinne uitgestuur om op die hoogtes van die stad uit te roep:^d
- 4** “Laat enigiemand wat onervare is, hierheen kom.”
Hy sê vir die een wat onverstandig is:
- 5** “Kom, eet my brood en drink van die wyn wat ek gemeng het.
- 6** Los jou onervarenheid* en bly lewe.^e
Gaan vorentoe op die weg van verstandigheid.”^f
- 7** Die een wat ’n spotter tereg wys, bring oneer oor homself,^g

8:34 *Of “by my deure wakker bly”.
9:6 *Of “die onervarenes”.

HFST. 8

a Spr 3:11
Spr 4:13
Heb 12:7, 9

b Spr 13:14

c Spr 5:23

HFST. 9

d Spr 1:20-22

e Ps 119:130

f Spr 4:5
Spr 13:20

g Spr 15:12

Tweede kol.

a 1Kn 21:20, 21
1Kn 22:8
2Kr 25:15, 16
Mt 7:6

b Ps 141:5
Spr 27:6
Spr 28:23

c Spr 1:5
Spr 15:31
Spr 17:10
Spr 25:12

d Ps 111:10

e 1Kr 28:9
Mt 11:27
Joh 17:3

f De 6:1, 2
Spr 8:35
Spr 10:27

g Spr 7:10, 11

h Spr 23:27, 28

i Spr 6:32

j Spr 7:18, 19

k Spr 2:18, 19
Spr 7:23, 26
Spr 23:27, 28

en enigiemand wat ’n goddelose persoon bestraf, sal seerkry.

- 8** Moenie ’n spotter tereg wys nie, want hy sal jou haat.^a
Gee ’n wyse persoon ’n tereg wysing, en hy sal jou liefhê.^b
- 9** Gee raad aan ’n wyse persoon, en hy sal nog wyser word.^c
Leer ’n regverdige, en hy sal meer kennis kry.
- 10** Vrees vir Jehovah is die begin van wysheid,^d en kennis van die Allerheiligste^e lei tot insig.
- 11** Want deur my sal jou dae baie wees^f en sal jare by jou lewe gevoeg word.
- 12** As jy wys word, is dit tot jou eie voordeel.
As jy ’n spotter is, sal jy self die gevolge dra.
- 13** ’n Dwase vrou is lawaaierig.^g
Sy is sonder kennis en weet absoluut niks.
- 14** Sy sit by die ingang van haar huis, op ’n stoel op die hoogtes van die stad.^h
- 15** Sy roep na dié wat verbygaan,
na dié wat reguit op hulle pad loop:
- 16** “Laat enigiemand wat onervare is, hierheen kom.”
Sy sê vir die een wat onverstandig is:ⁱ
- 17** “Gesteelde waters is soet, en kos wat in die geheim geëet word, is lekker.”^j
- 18** Maar hy weet nie dat dié wat magtelos is in die dood, by haar is nie, dat haar gaste in die dieptes van die Graf* is nie.^k
- 9:18** *Of “Sjeool”. Sien Woordelys.

- 10** Spreuke van Salomo.^a
'n Wyse seun maak sy
pa bly,^b
maar 'n dwase seun maak
sy ma hartseer.
- 2** Skatte wat op 'n goddelose
manier verkry word, sal
geen voordeel bring nie,
maar regverdigheid red 'n
mens van die dood.^c
- 3** Jehovah laat die regverdige
nie honger ly nie,^d
maar hy weier om die be-
geertes van die godde-
loses te bevredig.
- 4** Lui hande bring armoede,^e
maar hardwerkende hande
bring rykdom.^f
- 5** Die seun wat met insig op-
tree, samel die oes gedu-
rende die somer in,
maar die seun wat skandelik
optree, is vas aan die slaap
gedurende die oes.^g
- 6** Die regverdige word
geseën,^h
maar die goddeloses hou
hulle gewelddadige planne
geheim.
- 7** Die regverdige sal onthou
word en sal geseën word,ⁱ
maar die naam van die god-
deloses sal verdwyn.^j
- 8** Die wyse persoon* sal raad*
aanvaar,^k
maar die een wat dwase
dinge sê, sal tot 'n val
kom.^l
- 9** Die een wat 'n weg van in-
tegriteit* volg, sal veilig
wees,^m
maar as iemand 'n verkeer-
de weg volg, sal dit bekend
word.ⁿ
- 10** Die een wat skelm oogknip,
veroorzaak pyn,^o

10:8 *Of "Die persoon wat wys van hart is". #Lett. "gebooi". **10:9** *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

HFST. 10

- a Spr 1:1
b Spr 13:1
Spr 27:11
c Spr 11:4
d Ps 33:18, 19
Ps 37:25
Mt 6:33
e Spr 20:4
Pr 10:18
f Spr 12:24
Spr 13:4
Spr 21:5
g Spr 6:6, 9
h Eks 23:25
Spr 28:20
i Ps 112:6
Pr 7:1
j Ps 9:5
k De 4:6
Ps 19:7
Ps 119:34
Ps 119:100
l Spr 18:6
m Ps 25:21
n 1Ti 5:24
o Spr 6:12, 13

Tweede kol.

- a Spr 18:21
b Spr 11:30
c Mt 12:35
Jak 3:5
d Spr 17:9
1Kor 13:4, 7
1Pe 4:8
e Jes 50:4
f Spr 26:3
g Spr 9:9
h Spr 13:3
Spr 18:7
i Spr 19:7
Spr 30:8, 9
Pr 7:12
j Mt 7:17
k 1Sa 18:17, 21
l Pr 5:2

m Ps 39:1
Spr 17:27
Spr 21:23
Jak 1:19

- en die een wat dwase dinge
sê, sal tot 'n val kom.^a
- 11** Die mond van die regverdi-
ges is 'n bron van lewe,^b
maar die mond van die god-
deloses hou hulle gewel-
dadige planne geheim.^c
- 12** Haat veroorsaak onenig-
heid,
maar liefde bedek alle
oortredings.^d
- 13** Wysheid is op die lippe van
die een wat insig het,^e
maar straf wag op die een
wat onverstandig is.^{*f}
- 14** Wyse mense bewaar kennis
as 'n skat,^g
maar die mond van die
dwaas lei tot sy onder-
gang.^h
- 15** Die rykdom van 'n ryk man
is vir hom soos 'n sterk
stad.
Die armoede van die armes
is hulle ondergang.ⁱ
- 16** Die werk van die regverdige
lei tot die lewe,
maar die goddelose gebruik
sy inkomste om te sondig.^j
- 17** Die een wat dissipline aan-
vaar, is soos 'n pad* na
die lewe,
maar die een wat teregwy-
sing ignoreer, bring ander
op 'n dwaalspoor.
- 18** Die een wat sy haat geheim
hou, vertel leuens,^k
en die een wat skadelike
skinderstories* versprei,
is dwaas.
- 19** As iemand baie praat, sal dit
tot oortreding lei,^l
maar die een wat sy
lippe beheer, tree verstan-
dig op.^m

10:13 *Lett. "die lat is vir die rug van die onverstandige". **10:17** *Of moontlik "is op die pad". **10:18** *Of "gerugte".

- 20** Die tong van die regverdige is soos die suiwerste silwer,^a maar die hart van die goddelose is min werd.
- 21** Die woorde van die regverdige versterk* baie,^b maar die dwase sterf omdat hulle geen verstand het nie.^c
- 22** Dit is die seën van Jehovah wat 'n mens ryk maak,^d en Hy voeg geen pyn* daarby nie.
- 23** Skandelige gedrag is vir die dwaas soos 'n speletjie, maar wysheid behoort aan die man wat insig het.^e
- 24** Wat die goddelose vrees, sal oor hom kom, maar die begeerte van die regverdige sal bevredig word.^f
- 25** Wanneer die storm verby is, sal die goddelose nie meer daar wees nie,^g maar die regverdige is soos 'n ewige fondament.^h
- 26** Soos asyn vir die tande en rook vir die oë, so is die luiaard vir iemand wat hom stuur om iets te doen.*
- 27** Vrees vir Jehovah lei tot 'n langer lewe,ⁱ maar die jare van die goddeloses sal kortgeknip word.^j
- 28** Die hoop* van die regverdige bring vreugde,^k maar die hoop van die goddeloses sal verdwyn.^l
- 29** Die weg van Jehovah is 'n vesting vir dié wat 'n rein lewe lei,^{*m} maar dit beteken ondergang vir dié wat slegte dinge doen.ⁿ

10:21 *Of "voed; lei". **10:22** *Of "hartseer; swaarkry". **10:26** *Of "vir sy werkgewer". **10:28** *Of "verwagting". **10:29** *Of "die onberispelike".

HFST. 10

a Spr 12:18

Spr 16:13

b Jer 3:15

c Ho 4:6

d De 8:17, 18

Ps 37:22

1Ti 6:6

e Spr 2:10, 11

Spr 14:9

Spr 15:21

f Ps 37:4

1Jo 5:14

g Ps 37:10

h Mt 7:24, 25

i Ps 91:15, 16

j Ps 55:23

k Ps 16:9

Ro 12:12

l Spr 11:7

m Spr 18:10

Jes 40:31

n Ro 2:6-8

Tweede kol.

a Ps 16:8

b Ps 37:9

HFST. 11

c Le 19:36

d Spr 16:18

Lu 14:8, 9

e Mi 6:8

1Pe 5:5

f Ps 26:1

Spr 13:6

g Spr 28:18

h Ese 7:19

Mt 16:26

i Ge 7:1

j 2Sa 17:23

Est 7:10

Spr 5:22

k Jer 39:18

l Spr 1:32

- 30** Die regverdige sal nooit val nie,^a maar die goddelose sal nie op die aarde bly woon nie.^b

- 31** Wysheid kom uit die mond van die regverdige, maar die slegte tong sal vernietig word.

- 32** Die lippe van die regverdige weet wat aangenaam is, maar die mond van die goddelose is vol slegtheid.

11 'n Bedrieglike weegskaal is vir Jehovah afskuwelik,

maar akkurate gewigte maak hom bly.^c

- 2** Oeneer kom oor dié wat vermetel* is,^d

maar wysheid is by dié wat beskeie is.^e

- 3** Die getroues word deur hulle integriteit* gelei,^f maar die valsheid van die bedrieglikes sal tot hulle vernietiging lei.^g

- 4** Rykdom sal niks help op die dag van woede nie,^h maar regverdigheid sal 'n mens van die dood red.ⁱ

- 5** Die regverdigheid van die getroues maak hulle pad gelyk, maar die goddeloosheid van die goddeloses sal tot hulle ondergang lei.^j

- 6** Die regverdigheid van dié wat reg lewe, sal hulle red,^k

maar dié wat bedrieglik is, sal deur hulle eie begeertes gevang word.^l

- 7** Wanneer 'n goddelose mens sterf, verdwyn sy hoop,

11:2 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. **11:3** *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

en vertrou op sy krag kom ook tot 'n einde.^a

- 8** Die regverdige word uit moeilikhede gered, en die goddelose neem sy plek in.^b
- 9** Die mond van die afvallige* veroorsaak sy medemens se ondergang, maar deur kennis word die regverdige gered.^c
- 10** Die goedheid van die regverdige maak 'n stad vreugdevol, en wanneer die goddelose sterf, is daar 'n vreugdevolle uitroep.^d
- 11** Weens die seën van die getroues word 'n stad belangrik,^e maar die mond van die goddelose breek dit af.^f
- 12** Die een wat onverstandig is, verkleiner* sy medemens, maar die man wat insig het, bly stil.^g
- 13** 'n Lasteraar praat oor vertroulike dinge,^h maar die betroubare persoon kan iets vertroulik hou.*
- 14** Sonder wyse leiding gaan die volk onder, maar met baie raadgevers word sukses* behaal.ⁱ
- 15** Dit sal beslis sleg gaan met iemand wat vir 'n vreemdeling borg staan,^j maar die een wat nie so 'n ooreenkoms maak nie,* sal veilig wees.
- 16** 'n Vrou met 'n mooi geaardheid verkry eer,^k maar genadelose manne kry rykdom in die hande.

11:9 *Of "goddelose". **11:12** *Of "sien neer op". **11:13** *Lett. "bedek 'n saak". **11:14** *Of "redding". **11:15** *Lett. "wat dit haat om hand te skud".

HFST. 11

a Eks 15:9, 10
Lu 12:18-20

b Est 7:9
Spr 21:18
Da 6:23, 24

c Spr 2:10-12

d Eks 15:20, 21
Est 9:19, 22

e Spr 14:34

f Jak 3:6

g Spr 17:27
1Pe 2:23

h Le 19:16
Spr 20:19
Spr 26:22

i Spr 15:22
Spr 20:18
Spr 24:6

j Spr 6:1, 5
Spr 20:16

k 1Sa 25:39
1Pe 3:3, 4

Tweede kol.

a Lu 6:38

b Jak 5:3, 4

c Job 27:13, 14

d Ga 6:7, 8

e Han 10:34, 35
Op 2:10

f Ps 18:26
Spr 3:32

g Ps 51:6
Spr 15:8

h Pr 8:13
Ese 18:4

i Jes 26:9
Mt 5:6

j De 15:10
Spr 19:17
Pr 11:1, 2

k Hag 1:6

l Han 20:35
2Kor 9:6

m Lu 6:38

- 17** 'n Goedhartige man* vind baat by sy goedhartigheid,^a maar die wrede man bring moeilikheid^Δ oor homself.^b
- 18** Die goddelose ontvang 'n waardelose loon,^c maar die een wat regverdigheid saai, ontvang 'n ware beloning.^d
- 19** Die een wat vir regverdigheid vasstaan, is op pad na die lewe,^e maar die een wat slegte dinge najaag, is op pad na die dood.
- 20** Dié wat 'n slegte hart het, is vir Jehovah afskuwelik,^f maar dié wat 'n rein lewe lei, gee hom vreugde.^g
- 21** Hiervan kan jy seker wees: 'n Goddelose mens sal nie ongestraf bly nie,^h maar die kinders van die regverdige sal wegkom.
- 22** Soos 'n goue ring in 'n vark se snoet, so is 'n mooi vrou wat nie haar verstand gebruik nie.
- 23** Die begeerte van die regverdige lei na die goeie,ⁱ maar die dinge waarop die goddelose hoop, lei tot God se woede.
- 24** Daar is een wat baie gee en meer bykry,^j 'n Ander gee nie wat hy behoort te gee nie en word arm.^k
- 25** Die vrygewige persoon sal voorspoedig wees,^l en die een wat ander versterk,* sal self versterk word.^m
- 26** Die volk sal die een vervloek wat graan terughou,

11:17 *Of "'n Man wat lojale liefde betoon". ^ΔOf "doen goed aan sy eie siel". ^ΔOf "skande". **11:25** *Lett. "wat vryelik water gee".

maar hulle sal die een seën wat dit verkoop.

27 Die een wat hom inspan om te doen wat goed is, soek goedkeuring,^a

maar die een wat slegte dinge najaag, sal deur slegte dinge getref word.^b

28 Die een wat op sy rykdom vertrou, sal tot 'n val kom,^c

maar die regverdige sal floereer soos groen blare.^d

29 Iemand wat probleme* oor sy huisgesin bring, sal net die wind erf,^e

en die dwaas sal die slaaf word van die wyse persoon.^f

30 Die dade van die regverdige is 'n boom van die lewe,^f en die een wat siele* wen, is wys.^g

31 As die regverdige op die aarde ontvang wat hom toekom, dan sal dit beslis die geval wees met die goddelose en die sondaar!^h

12 Die een wat dissipline liefhet, het kennis lief,ⁱ maar die een wat teregwyding haat, is verstandeloos.^j

2 Die goeie mens verkry Jehovah se goedkeuring, maar Hy veroordeel die man wat goddelose planne beeraam.^k

3 Niemand verkry veiligheid deur goddelose dade nie,^l maar die regverdige sal nooit uitgeruk word nie.

4 'n Goeie vrou is 'n kroon vir haar man,^m maar die vrou wat haar skandelik gedra, is vir

HFST. 11

a Spr 12:2

b Est 7:10
Ps 10:2

c Job 31:24, 28
Ps 52:5, 7

d Ps 1:2, 3
Ps 52:8

e Jos 7:15

f Spr 15:4

g 1Kor 9:20-22
Jak 5:19, 20

h Ese 18:24
2Te 1:6
1Pe 4:18

HFST. 12

i Spr 4:13

j Ps 32:9

k De 25:1
1Kn 8:31, 32

l Ps 37:10, 38

m Spr 18:22
Spr 19:14

Tweede kol.

a 1Kn 21:25

b 2Sa 17:1, 2

c Est 7:3, 4
Spr 14:3

d Spr 24:3
Mt 7:24, 25

e Ge 41:39
1Sa 16:18

f 1Sa 25:14, 17
Mt 27:3, 4

g Spr 13:7

h Ge 33:12-14
Eks 23:12
De 22:4, 10
De 25:4
Jon 4:11

i Spr 28:19
Ef 4:28

j 1Kn 2:23, 24
Ps 5:6
Pr 5:6

k Spr 13:2
Spr 18:20

haar man soos 'n verterende siekte.*^a

5 Die gedagtes van die regverdige is regverdig, maar die leiding van die goddelose is bedrieglik.

6 Die woorde van die goddelose is 'n dodelike strik,^b maar die mond van dié wat reg lewe, red hulle.^c

7 Wanneer die goddelose tot 'n val kom, is dit verby met hulle,

maar die huis van die regverdige sal bly staan.^d

8 'n Man word geprys wanneer hy met insig praat,^e maar mense sal geen respek hê vir 'n man wat 'n goddelose hart het nie.^f

9 Dit is beter om onbelangrik te wees en 'n slaaf te hê as om jouself te verheerlik en nie kos te hê nie.^g

10 Die regverdige sorg vir sy diere,^h

maar selfs die genade van die goddelose is wreed.

11 Die een wat sy grond bewerk, sal genoeg kos hê,ⁱ maar die een wat waardelose dinge najaag, is onverstandig.

12 Die goddelose begeer wat ander slegte mense verkry het, maar die regverdige is soos 'n diepgewortelde boom wat vrug dra.

13 Die goddelose word deur sy eie sondige woorde verstrikt,^j maar die regverdige bevry homself uit moeilikhede.

14 Weens 'n man se woorde sal hy goeie dinge ondervind,^k en die werk van sy hande hou vir hom 'n beloning in.

11:29 *Of "skande". ^aLett. "die een wat wys van hart is". 11:30 *Sien Woordelys.

12:4 *Lett. "soos verrotting in sy gebeente".

- 15 Die weg van die dwaas is reg in sy eie oë,^a maar die wyse persoon aanvaar raad.^b
- 16 'n Dwaas wys dadelik dat hy hom vererg het,^c maar die verstandige man sien 'n belediging oor.
- 17 'n Betroubare getuie praat die waarheid, maar 'n valse getuie vertel leuens.
- 18 As 'n mens praat sonder om te dink, sal jou woorde soos swaardsteke wees, maar die tong van die wyses is genesend.^d
- 19 Woorde van waarheid bly vir ewig,^e maar leuens duur net vir 'n oomblik.^f
- 20 Bedrog is in die hart van dié wat slegte dinge beplan, maar dié wat vrede bevorder, is vreugdevol.^g
- 21 Niks skadeliks sal die regverdige tref nie,^h maar die goddeloses sal baie rampspoed ondervind.ⁱ
- 22 Lippe wat leuens vertel, is vir Jehovah afskuwelik,^j maar mense wat betroubaar is, gee hom vreugde.
- 23 'n Verstandige mens bly stil oor wat hy weet, maar die dwaas* verkondig sy dwaasheid.^k
- 24 Hardwerkende mense sal regeer,^l maar lui mense sal as slawe werk.^m
- 25 Angstigheid in 'n mens se hart maak hom terneergedruk,^{*n} maar 'n goeie woord maak sy hart bly.^o
- 26 Die regverdige ondersoek sy weiveld,

HFST. 12

a Spr 3:7

Spr 26:12

b Spr 1:5

c Spr 29:11

d Spr 16:24

e 1Pe 3:10

f Spr 19:9

Han 5:3, 5

g Mt 5:9

h Ps 91:9, 10

i Spr 1:30, 31

Jes 48:22

j Ps 5:6

Spr 6:16, 17

Op 21:8

k Spr 10:19

l Ge 39:4

1Kn 11:28

m Spr 19:15

n Ps 38:6

Spr 13:12

Spr 15:13

o Spr 16:24

Jes 50:4

Tweede kol.

a Spr 26:13-15

b Ps 37:27

Spr 10:7

Hab 2:4

HFST. 13

c Heb 12:7, 9

d 1Sa 2:22-25

Spr 9:7

e Spr 12:14

Spr 18:20

f Ps 39:1

Ps 141:3

Spr 21:23

g Spr 10:19

Mt 12:36

h Spr 26:13-15

i Spr 10:4

Spr 12:24

j Ps 119:163

Spr 8:13

Ef 4:25

k Ps 25:21

l Spr 12:9

m Jer 41:8

n Jer 39:10

maar die weg van die goddeloses bring hulle op 'n dwaalspoor.

- 27 Lui mense sal nie eers jag om kos te kry nie,^a maar om hard te werk, is vir 'n man 'n kosbare skat.
- 28 Die pad van regverdigheid lei na die lewe.^b Hierdie pad lei nie na die dood nie.

13 'n Wyse seun aanvaar sy pa se dissipline,^c

maar die spotter luister nie wanneer hy bestraf word nie.^d

- 2 Weens 'n man se woorde sal hy die goeie eet,^e maar dié wat bedrieglik is, smag na geweld.

- 3 Die een wat 'n wag voor sy mond sit,* bewaar sy lewe,^f

maar die een wat sy lippe wyd oopmaak, sal rampspoed ondervind.^g

- 4 Die luitaard wil baie dinge hê, tog het hy niks,^h maar die een wat hard werk, sal 'n oorvloed hê.ⁱ

- 5 Die regverdige haat leuens,^j maar die dade van die goddelose bring skande en oneer.

- 6 Regverdigheid beskerm die onskuldige,^k maar goddeloosheid lei tot die sondaar se ondergang.

- 7 Party gee voor dat hulle ryk is, tog het hulle niks.^l Ander gee voor dat hulle arm is, tog is hulle baie ryk.

- 8 Rykdom is die losprys vir 'n ryk man se lewe,^m maar die arme word nie eers bedreig nie.^{*n}

13:3 *Of "wat let op wat hy sê". 13:8 *Lett. "hoor geen bestrawwing nie".

12:23 *Lett. "die hart van die dwaas".
12:25 *Of "depressief".

- 9** Die lig van die regverdige skyn helder,^a maar die lamp van die goddeloses sal uitgedoof word.^b
- 10** Vermetelheid* lei net tot onenigheid,^c maar wysheid behoort aan dié wat raad soek.^{#d}
- 11** Rykdom wat vinnig verkry word, sal minder word,^e maar die rykdom van die een wat dit bietjie vir bietjie bymeekaarmaak, sal meer word.
- 12** 'n Uitgestelde verwagting* maak die hart siek,^f maar 'n vervulde begeerte is 'n boom van die lewe.^g
- 13** Die een wat onderrigting verwerp, sal die gevolge dra,^h maar die een wat die gebod respekteer, sal beloon word.ⁱ
- 14** Die onderrigting* van die wyse is 'n bron van lewe.^j Dit hou 'n mens weg van die strikke van die dood.
- 15** Goeie insig wen die goedkeuring van ander, maar die weg van dié wat bedrieglik is, sal moeilik wees.
- 16** 'n Verstandige persoon tree met kennis op,^k maar 'n dwaas openbaar sy dwaasheid.^l
- 17** 'n Goddelose boodskapper beland in die moeilikheid,^m maar 'n betroubare boodskapper* bring genesing.ⁿ
- 18** Armoede en skande wag op enigiemand wat dissipline verwerp,

13:10 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. [#]Of "dié wat saam be-raadslaag". **13:12** *Of "hoop". **13:14** *Of "wet". **13:17** *Of "gesant".

HFST. 13

- a Ps 97:11
b Spr 24:20
c Rig 8:1
d Spr 11:2
Spr 24:6
Han 15:5, 6
e Spr 28:8
Jer 17:11
f Ps 143:7
g Ge 21:5-7
Lu 2:29, 30
h 2Kr 36:15, 16
i Ps 19:8, 11
Spr 13:18
j Spr 24:14
k Spr 14:15
l 1Sa 25:25
m 2Sa 4:9, 10
n Spr 25:25

Tweede kol.

- a Ps 141:5
Spr 15:32
Heb 12:11
b 1Kn 1:47, 48
c Am 5:10
d Han 4:13
e Ge 34:1, 2
f De 28:20
g Ro 2:9, 10
h De 6:10, 11
i 1Sa 3:12, 13
1Kn 1:5, 6
Spr 29:15
j De 6:6, 7
Spr 19:18
Spr 22:15
Ef 6:4
Heb 12:6
k Ps 34:10
Ps 37:25
l Jes 65:13

HFST. 14

- m Spr 24:3
Spr 31:26

maar die een wat teregwy-sing aanvaar, sal eer ont-vang.^a

- 19** 'n Vervulde begeerte is vir 'n mens soet,^b maar die dwaas haat dit om weg te draai van wat sleg is.^c
- 20** Die een wat met wyse per-sone assosieer, sal wys word,^d maar dit sal sleg gaan met die een wat met dwase te doen het.^e
- 21** Sondaars word deur ramp-spoed agtervolg,^f maar die regverdige word met voorspoed beloon.^g
- 22** Iemand wat goed is, laat 'n erfenis na vir sy klein-kinders, maar die sondaar se rykdom sal vir die regverdige be-waar word.^h
- 23** Die geploegde grond van 'n arm man lewer baie kos op, maar dit* kan deur ongeregtigheid weggevee word.
- 24** Die een wat sy seun nie dissipliner nie,* haat hom,ⁱ maar die een wat sy seun liefhet, dissipliner hom wanneer dit nodig is.^{#j}
- 25** Die regverdige eet en word versadig,^k maar die maag van die god-delose is leeg.^l
- 14** 'n Vrou wat waarlik wys is, bou haar huis op,^m maar 'n dwase vrou breek dit met haar eie hande af.
- 2** Iemand wat reg lewe, vrees Jehovah, maar die een wat 'n verkeerde weg volg, het geen res-spek vir Hom nie.

13:23 *Of "hy". **13:24** *Lett. "wat sy lat terughou". [#]Of moontlik "onmid-dellik".

- 3** Die hoogmoedige mond van 'n dwaas is soos 'n lat, maar die lippe van die wyses sal hulle beskerm.
- 4** Waar daar nie beeste is nie, is die krip skoon, maar die krag van 'n bul lewer 'n groot oes op.
- 5** 'n Betroubare getuie sal nie lieg nie, maar 'n valse getuie vertel die een leuen ná die ander.^a
- 6** Die spotter soek wysheid en vind dit nie, maar 'n verstandige mens verkry maklik kennis.^b
- 7** Bly weg van die dwaas, want jy sal nie kennis by hom vind nie.^c
- 8** Wysheid laat 'n verstandige man sy weg verstaan, maar die dwase word mislei* deur hulle dwaasheid.^d
- 9** Dwase lag oor* hulle sondes,^e maar die getroues is bereid om dinge reg te stel.
- 10** Net jy ken die pyn* in jou hart, en ander kan nie jou vreugde ondervind nie.
- 11** Die huis van die goddeloses sal vernietig word,^f maar die tent van die getroues sal floreer.
- 12** Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk,^g maar op die ou end lei dit na die dood.^h
- 13** Selfs as iemand lag, kan daar pyn in sy hart wees, en blydskap kan in trane eindig.
- 14** Die een wat 'n ongehoorsame hart het, sal die gevolge van sy dade dra.ⁱ

14:8 *Of moontlik "mislei ander".

14:9 *Of "lag oor vergoeding vir".

14:10 *Lett. "bitterheid".

HFST. 14

a Spr 6:16, 19
Spr 19:5

b Spr 18:15

c Spr 13:20

d Spr 14:12

e Spr 10:23
Spr 30:20

f Spr 21:12

g Spr 30:12

h Spr 16:25

i Spr 1:32

Tweede kol.

a Ga 6:7, 8

b Ne 6:2, 3
Spr 27:12

c Spr 12:16
Spr 16:32

d Spr 4:7-9

e Spr 19:7

f Spr 19:4

g Ps 41:1
Spr 19:17
Jes 58:7, 8

h Job 42:10
Ps 25:10

i Spr 28:19

j Spr 27:22

maar die goeie man sal vir sy dade beloon word.^a

- 15** Iemand wat onervare is, glo elke woord, maar die verstandige persoon dink mooi voordat hy iets doen.^b
- 16** Die wyse is versigtig en vermy wat sleg is, maar die dwaas is roekeloos en het te veel selfvertroue.
- 17** Die een wat gou kwaad word, tree dwaas op,^c maar die man wat dinge goed deurdink, word gehaat.
- 18** Die onervarenes sal net dwaasheid erf, maar die verstandiges word met kennis gekroon.^d
- 19** Slegte mense sal voor die goeies moet neerbuig, en goddelose mense sal by die poorte van die regverdiges neerbuig.
- 20** 'n Arm man word selfs deur sy bure gehaat,^e maar 'n ryk man het baie vriende.^f
- 21** Die een wat niks voel vir sy medemens nie, sondig, maar die een wat goedhartigheid betoon aan die hulpeloses, is gelukkig.^g
- 22** Sal dié wat slegte dinge beplan, nie op 'n dwaalspoor beland nie?
Maar dié wat vasbeslote is om goeie dinge te doen, sal lojale liefde en getrouheid ontvang.^h
- 23** Elke soort harde werk hou voordele in, maar om net te praat, lei tot armoede.ⁱ
- 24** Die kroon van die wyses is hulle rykdom, maar die dwaasheid van die dwase is maar net dwaasheid.^j

- 25 'n Getuie wat die waarheid praat, red lewens, maar 'n valse getuie vertel die een leuen ná die ander.
- 26 Die mens wat Jehovah vrees, het sterk vertroue,^a en dit sal vir sy kinders 'n beskerming* wees.^b
- 27 Vrees vir Jehovah is 'n fontein van die lewe.
Dit hou 'n mens weg van die strikke van die dood.
- 28 'n Groot volk is die prag van 'n koning,^c maar sonder onderdane is 'n heerser niks nie.
- 29 Die een wat nie gou kwaad word nie, het groot insig,^d maar die een wat ongeduldig is, wys hoe dwaas hy is.^e
- 30 'n Kalm hart beteken lewe* vir die liggaam, maar jaloesie vreet 'n mens op.^{ff}
- 31 Die een wat die hulpeloses uitbuit, beledig sy Maker,^g maar die een wat goedhartigheid betoon aan die armes, verheerlik Hom.^h
- 32 Die goddelose sal deur sy eie goddeloosheid tot 'n val kom, maar die regverdige se integriteit[#] sal vir hom 'n beskerming* wees.ⁱ
- 33 Wysheid lê rustig in die hart van 'n verstandige persoon,^j maar die dwase voel dat hulle dit moet bekend maak.
- 34 Regverdigheid bring eer vir 'n nasie,^k maar sonde bring skande oor 'n volk.
- 35 'n Kneg wat met insig optree, maak 'n koning bly,^l

14:26, 32 *Of "skuilplek". 14:30 *Of "gesondheid". #Of "is verrotting vir die gebeente". 14:32 #Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

HFST. 14

- a Ps 34:9
Ro 8:31
b Spr 18:10
Jer 15:11
c 1Kn 4:21
d Spr 17:27
Jak 1:19
e Spr 25:28
Spr 29:11
Pr 7:9
f Ge 37:3, 4
1Sa 18:8, 9
g De 24:14, 15
Ps 12:5
h Mt 19:21
i Spr 2:7
Spr 10:9
j Spr 15:28
k De 4:6
l 2Sa 15:32-34
Spr 22:29

Tweede kol.

- a 1Kn 2:44, 46

HFST. 15

- b Rig 8:2, 3
1Sa 25:32, 33
Spr 25:15
c 1Kn 12:14, 16
d Spr 16:23
Jes 50:4
e 2Kr 16:9
Ps 11:4
Heb 4:13
f Spr 12:18
Spr 16:24
Spr 17:27
g 1Sa 2:22-25
h Ps 141:5
Spr 13:1
Heb 12:11
i Jak 5:3, 4
j Ps 37:30
Mt 10:27
k Mt 12:34, 35
l Jes 1:11
m Jak 5:16
1Pe 3:12
1Jo 3:21, 22
n Ps 146:9
o Jes 26:7
p 1Kn 18:17, 18

maar 'n koning word woeënd vir die een wat hom skandelik gedra.^a

- 15** 'n Sagte antwoord laat woede bedaar,^b maar harde woorde* laat woede opvlam.^c
- 2 Die tong van die wyses maak goed gebruik van kennis,^d maar dwaasheid borrel uit die mond van die dwase.
- 3 Die oë van Jehovah is oral. Hy hou die slegtes en die goeies dop.^e
- 4 'n Kalm* tong is 'n boom van die lewe,^f maar 'n slegte tong veroorsaak moedeloosheid.[#]
- 5 'n Dwaas steur hom nie aan sy pa se dissipline nie,^g maar 'n verstandige persoon aanvaar teregwysing.^h
- 6 Die huis van die regverdige is vol skatte, maar wat die goddelose inbring, bring vir hom moeilikheid.ⁱ
- 7 Die lippe van die wyses versprei kennis,^j maar dit is nie die geval met die hart van die dwase nie.^k
- 8 Die offerande van die goddeloses is vir Jehovah afskuwelik,^l maar die gebed van die getroues is vir hom aange-naam.^m
- 9 Jehovah haat die weg van die goddelose,ⁿ maar hy is lief vir die een wat regverdigheid nastreef.^o
- 10 Die een wat die weg verlaat, hou nie van dissipline nie,^p

15:1 *Of "woorde wat pyn veroorsaak".

15:4 *Of "Genesende". #Of "breek die gees".

maar iemand wat teregwy-
sing haat, sal sterf.^a

11 Jehovah kan tot in die Graf*
en die plek van vernietig-
ging[#] sien.^b

Hoewel te meer kan hy sien
wat in die harte van men-
se is!^c

12 Die spotter is nie lief vir
die een wat hom tereg wys
nie.^d

Hy sal nie die wyses vir raad
vra nie.^e

13 'n Vreugdevolle hart laat 'n
mens gelukkig lyk,
maar 'n hart vol pyn breek
'n mens se gees.^f

14 Die verstandige hart soek
na kennis,^g
maar die mond van
die dwaas streef dwaas-
heid na.^h

15 Vir die een wat swarkry, is
elke dag sleg,ⁱ
maar vir die een met 'n vro-
like hart is die lewe 'n
fees.^j

16 Dit is beter om min te hê en
Jehovah te vrees^k
as om groot rykdom en baie
bekommernisse te hê.^l

17 'n Bak groente waar daar
liefde is,^m
is beter as 'n vetgemaakte
bul waar daar haat is.ⁿ

18 'n Man wat gou kwaad word,
maak moeilikheid,^o
maar die een wat nie
gou kwaad word nie, laat
stryery ophou.^p

19 Die weg van die luiaard is
soos 'n doringheining,^q
maar die pad van die getrou-
es is gelyk.^r

20 'n Wyse seun maak sy pa
bly,^s
maar 'n dwase mens het
geen respek vir sy ma nie.^t

15:11, 24 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.
15:11 *Of "en Abaddon".

HFST. 15

a Le 26:21

Spr 1:32

b Ps 139:8

c Jer 17:10

Heb 4:13

d Spr 9:7

Joh 3:20

Joh 7:7

e 2Kr 18:6, 7

f Spr 12:25

Spr 17:22

g Ps 119:97

Han 17:11

h Jes 30:9, 10

i Job 3:11

j Han 16:23-25

k Ps 37:16

l Spr 15:17

m Ps 133:1

n Spr 17:1

o Spr 10:12

p Ge 13:8, 9

1Sa 25:23, 24

Spr 25:15

Jak 1:19

q Spr 26:13-15

r Jes 30:21

s Spr 27:11

t Spr 23:22

Spr 30:17

Tweede kol.

a Spr 26:18, 19

Pr 7:4

b Spr 10:23

Ef 5:15, 16

Jak 3:13

c Spr 20:18

d Ef 4:29

e 1Sa 25:32, 33

Spr 25:11

f Mt 7:13, 14

g Spr 8:35, 36

h Lu 18:14

i Ps 146:9

j Spr 6:16, 18

k Ps 19:14

l De 16:19

1Sa 8:1, 3

Spr 1:19

m Jes 33:15, 16

n Spr 16:23

o Ps 34:15, 16

Ps 138:6

Ps 145:19

Joh 9:31

p Spr 16:24

Spr 25:25

21 Dwaasheid is 'n vreugde
vir iemand wat onverstan-
dig is,^a

maar die mens wat insig het,
bly op die regte pad.^b

22 Planne misluk as 'n saak nie
bespreek word nie,
maar as daar baie raadge-
wers is, lei dit tot sukses.^c

23 'n Man is bly as hy die regte
antwoord gee,^d
en hoe goed is 'n woord op
die regte tyd tog!^e

24 Die pad van die lewe loop
opwaarts vir iemand met
insig.^f

Dit lei hom weg van die
Graf* daar onder.^g

25 Jehovah sal die huis van
hoogmoedige mense af-
breek,^h
maar hy sal die grens van
die weduwee beskerm.ⁱ

26 Jehovah haat die planne van
die goddelose,^j
maar aangename woorde is
vir Hom rein.^k

27 Die een wat op 'n oneerlike
manier wins maak, bring
moeilikheid* oor sy eie
huisgesin,^l
maar die een wat omkopery
haat, sal bly lewe.^m

28 Die hart van die regverdige
dink mooi* voordat hy
antwoord,ⁿ
maar die mond van die god-
deloses laat slegte dinge
uitborrel.

29 Jehovah is ver van die
goddeloses af,
maar hy luister na die gebed
van die regverdiges.^o

30 Oë wat straal van vreugde,
maak die hart bly.
'n Goeie berig doen 'n mens
goed.^p

15:27 *Of "skande". 15:28 *Of "dink
na". 15:30 *Lett. "maak die gebeente
vet".

- 31 Die een wat na lewegewende tereg wysing luister, voel tuis by die wyses.^a
- 32 Iemand wat dissipline verwerp, haat sy eie lewe,^b maar die een wat na tereg wysing luister, verkry insig.^c
- 33 Vrees vir Jehovah leer 'n mens wysheid,^d en nederigheid lei tot eer.^e
- 16** 'n Mens berei die gedagtes van sy hart voor, maar die antwoord wat hy gee,* kom van Jehovah af.^f
- 2 'n Mens dink dat alles wat hy doen, reg is,^g maar Jehovah kyk na die rede waarom hy dit doen.^{*h}
- 3 Vertrou alles wat jy doen, aan Jehovah toe,ⁱ dan sal jou planne suksesvol wees.
- 4 Jehovah laat alles tot sy voorneme bydra, selfs die goddeloses op die dag van rampspoed.^j
- 5 Elkeen wat trots is,* is vir Jehovah afskuwelik.^k Wees verseker dat hy nie ongestraf sal bly nie.
- 6 Deur lojale liefde en getrouheid is vergifnis van sonde moontlik,^l en vrees vir Jehovah laat 'n mens slegte dinge vermy.^m
- 7 As Jehovah gelukkig is met die manier waarop 'n man lewe, gee hy hom selfs vrede met sy vyande.ⁿ
- 8 Dit is beter om min te hê en regverdig te wees^o as om 'n groot inkomste te hê en oneerlik te wees.^p
- 9 'n Man kan in sy hart beplan wat hy wil doen,

HFST. 15

- a Spr 9:8
Spr 19:20
b Spr 5:12, 14
Heb 12:25
c Spr 13:18
Mt 7:24, 25
d Ps 111:10
e Spr 18:12
Jak 4:10

HFST. 16

- f Jer 1:9
Lu 12:11, 12
g 1Sa 15:13, 14
Ps 36:1, 2
Spr 21:2
Jer 17:9
h 1Sa 16:6, 7
Spr 24:12
i Ps 37:5
Flp 4:6, 7
j Eks 14:4
Ro 9:21
k Spr 6:16, 17
Spr 8:13
Spr 21:4
l Han 3:19
m Ne 5:8, 9
2Kor 7:1
n Ge 31:24
Eks 34:24
o 1Ti 6:6
p Ps 37:16
Jer 17:11

Tweede kol.

- a Spr 16:1
Jer 10:23
b De 17:18, 19
1Kn 3:28
c Ps 72:1, 14
d Le 19:36
Spr 11:1
e Spr 20:26
f Spr 29:14
Op 19:11
g Ps 101:6
h 1Sa 22:17, 18
1Kn 2:29
i Pr 10:4
j Ps 72:1, 6
k Pr 7:12
l Spr 4:7
m Spr 10:9
n Spr 11:2
Da 4:30-32
o Jes 57:15

maar Jehovah rig sy voetstappe.^a

- 10 God se besluite moet op die lippe van 'n koning wees.^b Hy moet altyd met geregtigheid optree.^c
- 11 'n Akkurate weegskaal kom van Jehovah, en al die gewigte in die sak is deur hom gemaak.^d
- 12 Konings haat goddelose dade,^e want die troon word stewig gevestig deur regverdigheid.^f
- 13 Woorde van regverdigheid is vir konings aangenaam. Hulle is lief vir mense wat die waarheid praat.^g
- 14 Die koning se woede is soos 'n boodskapper van die dood,^h maar die wyse man laat dit bedaar.^{*i}
- 15 'n Koning se goedkeuring beteken lewe. Sy goedkeuring is soos 'n reënwolk in die lente.^j
- 16 Dit is baie beter om wysheid te verkry as goud!^k En om verstandigheid te verkry, is beter as silwer.^l
- 17 Die grootpad van dié wat reg lewe, lei hulle weg van wat sleg is. Die een wat seker maak dat hy op die regte pad bly, bewaar sy lewe.^m
- 18 Trots lei tot ondergang, en hoogmoed kom voor 'n val.ⁿ
- 19 Dit is beter om nederig te wees saam met nederige mense^o as om te deel in die rykdom* van hoogmoedige mense.
- 20 Die een wat met insig optree, sal suksesvol wees,

16:1 *Of "die regte antwoord". 16:2 *Lett. "ondersoek die geeste". 16:5 *Of "met 'n trotse hart".

16:14 *Of "vermy dit". 16:19 *Of "buit".

en gelukkig is die een wat op Jehovah vertrou.

- 21** Die persoon met 'n wyse hart, sal verstandig genoem word,^a
 en die een wat vriendelik praat,* het die vermoë om ander te oorreed.^b
- 22** Insig is 'n fontein van die lewe vir dié wat dit besit, maar dwase word gestraf deur hulle eie dwaasheid.
- 23** 'n Wyse persoon kies sy woorde versigtig,^c en daarom kan sy woorde mense oorreed.
- 24** Aangename woorde is soos heuning,* soet vir die siel^d en geneesend vir die liggaam.^{Δd}
- 25** Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar op die ou end lei dit na die dood.^e
- 26** 'n Werker se eetlus* motiveer hom om hard te werk, want sy honger spoor hom aan.^f
- 27** 'n Slegte man grawe slegte dinge op.^g
 Sy woorde is soos 'n vernietigende vuur.^h
- 28** 'n Moeilikheidmaker* veroorsaak onenigheid,ⁱ en 'n lasteraar dryf goeie vriende uitmekaar.^j
- 29** 'n Gewelddadige man mislei ander en laat hulle die verkeerde pad volg.
- 30** Hy knip sy oog terwyl hy slegte dinge beplan.
 Hy pers sy lippe saam terwyl hy slegte dinge doen.

16:21 *Of "en aangename spraak". Lett. "en soetheid van lippe". **16:24** *Lett. "'n heuningkoek". ^aSien Woordelys. ^ΔLett. "gebeente". **16:26** *Of "siel". **16:28** *Of "iemand wat slinkse planne beraam".

HFST. 16

a Spr 4:7

b Lu 4:22
Kol 4:6

c Spr 22:17, 18
Mt 12:35

d Spr 4:20-22
Spr 12:18

e Spr 14:12
Mt 7:22, 23

f Pr 6:7

g Spr 6:12, 14

h Jak 3:6

i Jak 3:16

j Ge 3:1
1Sa 24:9
Ro 16:17

Tweede kol.

a Le 19:32
Job 32:7
Spr 20:29

b Ps 92:12-14

c Spr 14:29
Jak 1:19

d Spr 25:28

e Nu 26:55
Spr 18:18

f 1Sa 14:41, 42
Han 1:24, 26

HFST. 17

g Ps 37:16

h Spr 15:16, 17
Spr 21:9, 19

i Spr 27:21

j Ps 26:2
Spr 21:2
Spr 24:12

k Jer 5:31

l Spr 14:31

m Spr 24:17
Ob 12

n Spr 26:7

31 Grys hare is 'n pragtige kroon*^a
 wanneer dit op die weg van regverdigheid gevind word.^b

32 Die een wat nie gou kwaad word nie,^c is beter as 'n sterk man,
 en hy wat sy woede beheer,* as die een wat 'n stad verower.^d

33 Die lot word in die skoot gewerp,^e
 maar elke besluit daardeur kom van Jehovah af.^f

17 'n Stuk droë brood waar daar vrede* is,^g
 is beter as 'n feesmaal in 'n huis^h waar daar gestry word.^h

2 'n Kneg wat insig het, sal heers oor 'n seun wat skandelik optree.

Hy sal saam met die broers 'n erfdeel kry.

3 Die smeltpot is vir silwer en die smeltoond vir goud,ⁱ
 maar Jehovah is die Een wat harte ondersoek.^j

4 Die goddelose man skenk aandag aan skadelike praatjies,
 en 'n bedrieglike man luister na 'n gemene tong.^k

5 Die een wat 'n arm persoon spot, beledig sy Maker,^l
 en die een wat bly is oor 'n ander se ongeluk, sal nie ongestraf bly nie.^m

6 Kleinkinders is 'n kroon vir oumense,
 en ouers* is die trots van hulle kinders.ⁿ

7 Opregte* woorde pas nie by 'n dwaas nie.ⁿ

16:31 *Of "'n kroon van eer". **16:32** *Lett. "oor sy gees heers". **17:1** *Of "stilte". ^aLett. "as 'n huis vol offerandes". **17:6** *Lett. "pa's". ^bLett. "seuns". **17:7** *Of "Goeie".

- Nog minder pas leuens by 'n heerser!^a
- 8** 'n Geskenk is soos 'n edelsteen vir die eienaar daarvan.^b
Waar hy ook al gaan, bring dit vir hom sukses.^c
- 9** Die een wat 'n oortreding vergewe,* bevorder liefde,^d
maar die een wat oor 'n oortreding bly praat, dryf goeie vriende uitmekaar.^e
- 10** 'n Teregwyding het 'n groter uitwerking op 'n verstandige persoon^f
as wat 100 houe op 'n dwaas het.^g
- 11** 'n Slegte mens stel net belang in opstandigheid,
maar 'n wrede boodskapper sal gestuur word om hom te straf.^h
- 12** Dit is beter om 'n beer teë te kom wie se kleintjies afgevat is
as om 'n dwaas in al sy dwaasheid teë te kom.ⁱ
- 13** As iemand die goeie met die slegte terugbetaal,
sal daar altyd ramspoed in sy huis wees.^j
- 14** As 'n stryery begin, is dit asof 'n dam se sluise oopgemaak word.
Gaan dus weg voordat die stryery begin.^k
- 15** Die een wat die goddelose onskuldig verklaar en die een wat die regverdige skuldig verklaar^l
– hulle albei is vir Jehovah afskuwelik.
- 16** Wat baat dit dat die dwaas die geleentheid het om wysheid te verkry
as hy dit nie wil verkry nie?^m

17:9 *Lett. "bedek". **17:16** *Of "geen verstand het nie".

- HFST. 17
a Spr 16:10
b Ge 32:20
2Sa 16:1
c 1Sa 25:18, 35
Spr 18:16
Spr 19:6
d Spr 10:12
1Pe 4:8
e Spr 16:28
f Ps 141:5
Spr 9:8
g Spr 27:22
h 2Sa 18:15
2Sa 20:1, 22
1Kn 2:22, 24
i Spr 27:3
j 2Sa 12:8-10
k Ge 13:8, 9
Spr 25:8
Mt 5:39
Ro 12:18
l Eks 23:7
1Kn 21:13
Jes 5:22, 23
m Spr 1:22
Ro 1:20, 21

Tweede kol.

- a Spr 18:24
Joh 15:13
b Rut 1:16, 17
1Sa 19:2
c Spr 11:15
Spr 22:26, 27
d Jak 3:16
e 2Sa 15:2-4
f Ps 18:26
Spr 6:14, 15
g 1Sa 2:22-25
1Sa 8:1-3
2Sa 15:14
h Spr 12:25
Spr 15:13
i Spr 18:14
j Eks 23:8
k Pr 2:14
l Spr 15:20

- 17** 'n Ware vriend betoon altyd liefde^a
en is 'n broer gedurende* moeilike tye.^b
- 18** 'n Onverstandige man maak 'n ooreenkoms*
en stem in om borg te staan in die teenwoordigheid van sy naaste.^c
- 19** Die een wat daarvan hou om te stry, hou van oortreding.^d
Iemand wat sy ingang hoog maak, soek sy eie ondergang.^e
- 20** Die een wat 'n slegte hart het, sal nie suksesvol wees nie,^f
en die een wat bedrieglike dinge sê, kom tot 'n val.
- 21** Die pa van 'n dwase kind sal hartseer ondervind,
en die pa van 'n verstandelose kind het geen vreugde nie.^g
- 22** 'n Vreugdevolle hart is soos goeie medisyne,^h
maar 'n gebroke gees beroof jou van jou krag.ⁱ
- 23** 'n Goddelose man sal 'n omkoopgeskenk in die geheim aanvaar
om die reg te verdraai.^j
- 24** Iemand wat insig het, hou wysheid voor oë,
maar die gedagtes* van die dwaas dwaal oral rond.^k
- 25** 'n Dwase seun maak sy pa hartseer
en bring trane* vir sy ma.^l
- 26** Dit is nie goed om die regverdige te straf* nie,
en dit is nie reg om gerespekteerde mense te slaan nie.

17:17 *Of "is 'n broer wat gebore is vir". **17:18** *Lett. "skud hand". **17:22** *Of "droog die gebeente uit". **17:24** *Lett. "oë". **17:25** *Lett. "bitterheid". **17:26** *Of "beboet".

- 27 'n Man wat kennis het, hou sy woorde terug,^a en 'n man wat insig het, sal kalm bly.^b
- 28 Wanneer 'n dwaas stilbly, kan dit lyk of hy wys is, en wanneer iemand sy mond toehou, kan dit lyk of hy verstandig is.
- 18** Iemand wat hom afsonder, jaag sy eie selfsugtige begeertes na.
Hy verwerp alle praktiese wysheid.
- 2 'n Dwaas wil nie insig verkry nie.
Hy openbaar eerder wat in sy eie hart is.^c
- 3 Wanneer 'n goddelose kom, verdwyn respek.
En saam met skandelige gedrag kom oneer.^d
- 4 Die woorde van 'n man se mond is diep waters.^e
Dit is 'n fontein van wysheid, 'n borrelende stroom.
- 5 Dit is nie goed om die goddelose te bevoordeel^f of om te keer dat die regverdige geregtigheid kry nie.^g
- 6 Die woorde van die dwaas lei tot stryery,^h en met die dinge wat hy sê, soek hy 'n pak slae.ⁱ
- 7 Die mond van die dwaas is sy ondergang,^j en sy lippe stel sy lewe in gevaar.
- 8 Die woorde van 'n lasteraar is soos lekker eetgoed^k wat vinnig ingesluk word en tot in die maag afgly.^l
- 9 Iemand wat lui is om te werk, is 'n broer van die een wat skade aanrig.^m
- 10 Die naam van Jehovah is 'n sterk toring.ⁿ
Die regverdige hardloop daarin en word beskerm.^o

HFST. 17

a Spr 10:19

Jak 1:19

b Spr 15:4

Pr 9:17

Jak 3:13

HFST. 18

c Spr 10:19

d Spr 11:2

e Spr 10:11

f De 1:16, 17

Spr 28:21

g 1Kn 21:9, 10

h Spr 13:10

i Spr 19:19

j Spr 13:3

k Le 19:16

l Spr 26:22

m Spr 10:4

n 1Sa 17:45, 46

Ps 20:1

o Ps 18:2

Ps 91:14

Tweede kol.

a Ps 49:6, 7

Spr 11:4

Jer 9:23

Lu 12:19-21

b Spr 11:2

Da 5:23, 30

Han 12:21-23

c Spr 22:4

1Pe 5:5

d Spr 25:8

e Job 1:21

2Kor 4:16

2Kor 12:10

f Spr 17:22

g 1Kn 3:7-9

Spr 9:9

h Ge 43:11

Spr 17:8

i 2Sa 16:3, 4

j 2Sa 19:25-27

Spr 25:8

k Jos 14:1, 2

Ne 11:1

Spr 16:33

l Ge 27:41

2Sa 13:22

m 2Sa 14:28

Han 15:37-39

n Spr 12:14

Spr 13:2

o Mt 15:18

Ef 4:29

Jak 3:6, 9

- 11 Die rykdom van die ryk man is vir hom soos 'n sterk stad.
Dit is soos 'n beskermende muur in sy verbeelding.^a
- 12 Hoogmoed in 'n mens se hart lei tot ondergang,^b en nederigheid lei tot eer.^c
- 13 Iemand wat op 'n saak antwoord voordat hy die feite hoor, is dwaas en kom in die skande.^d
- 14 'n Mens se gesindheid* kan hom help om sy siekte te verdra,^e maar wie kan uithou as hy 'n gebroke gees het?#f
- 15 Die hart van die verstandige verkry kennis,^g en die oor van die wyses probeer kennis vind.
- 16 'n Geskenk maak deure oop.^h
Dit gee 'n mens toegang tot belangrike mense.
- 17 Dit lyk altyd of die een wat sy saak eerste stel, reg is,ⁱ maar dan kom die ander party en ondervra hom.^j
- 18 Wanneer die lot gewerp word, maak dit 'n einde aan geskille^k en word daar geoordeel tussen* sterk teenstanders.
- 19 Om 'n broer te paai wat aanstoot geneem het, is moeiliker as om 'n sterk stad in te neem,^l en daar is geskille wat soos die grendels van 'n vesting is.^m
- 20 Weens 'n man se woorde sal sy maag vol wees.ⁿ
Hy sal vol word van die opbrengs van sy lippe.
- 21 Dood en lewe is in die mag van die tong.^o

18:14 *Lett. "gees". #Of "heeltmaal moedeloos is". 18:18 *Lett. "en skei dit".

- Dié wat daarvan hou om dit te gebruik, sal die vrug daarvan eet.^a
- 22** Die een wat 'n goeie vrou vind, het iets goeds gevind,^b en hy verkry Jehovah se goedkeuring.^c
- 23** Die arm man soeb, maar die ryk man gee 'n harde antwoord.
- 24** Daar is vriende wat mekaar verwoes,^d maar daar is 'n vriend wat lojaler is as 'n broer.^e
- 19** Dit is beter om arm te wees en 'n weg van integriteit* te volg^f as om dwaas te wees en leuens te vertel.^g
- 2** Dit is nie goed vir 'n mens om geen kennis te hê nie,^h en die een wat oorhaastig optree, sondig.
- 3** 'n Man se eie dwaasheid laat hom 'n verkeerde weg volg, en dan word hy* woedend vir Jehovah.
- 4** Rykdom bring baie vriende, maar die arm man se vriende laat hom in die steek.ⁱ
- 5** 'n Valse getuie sal nie ongestraf bly nie,^j en 'n leuenaar sal nie wegkom nie.^k
- 6** Baie mense wil die goedkeuring van 'n belangrike* persoon verkry, en almal is 'n vriend van die man wat geskenke gee.
- 7** As al die broers van 'n arm man hom haat,^l hoeveel te meer sal sy vriende hom dan vermy!^m Hy probeer hulle iets vra, maar niemand reageer nie.

19:1 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys. 19:3 *Lett. "sy hart". 19:6 *Of "vrygewige".

HFST. 18

- a Pr 10:12
b Spr 31:10
c Spr 19:14
Pr 9:9
d 2Sa 15:31
Mt 26:49
e 1Sa 19:2, 4
Spr 17:17

HFST. 19

- f Spr 15:16
Jak 2:5
g Spr 28:6
h Ro 10:2
i Spr 14:20
j De 19:18, 19
k Spr 19:9
l Spr 14:20
m Pr 9:14, 15
Jak 2:2, 3

Tweede kol.

- a Spr 15:32
b Spr 2:2, 5
c Spr 19:5
Op 21:8
d 2Sa 3:24
2Sa 3:38, 39
Spr 30:21, 22
Pr 10:7
e Spr 14:29
Spr 16:32
Jak 1:19
f Ge 50:19-21
Mt 18:21, 22
Ef 4:32
g Spr 16:14
Spr 20:2
Da 2:12
h 2Sa 16:21, 22
i Spr 21:9, 19
Spr 27:15
j Ge 24:14
Spr 18:22
Spr 31:10
k Spr 23:21
Spr 24:33, 34
2Te 3:10
l Spr 16:17
m Spr 15:32
n De 15:7, 8
Ps 37:25, 26
Heb 13:16
o Spr 11:24
Mt 5:7
Heb 6:10
p Spr 13:24
Spr 22:6, 15
q 1Sa 3:12, 13

- 8** Die een wat wysheid verkry, het homself lief.^a Die een wat insig as 'n skat bewaar, sal suksesvol wees.^b
- 9** 'n Valse getuie sal nie ongestraf bly nie, en 'n leuenaar sal sterf.^c
- 10** Dit is nie gepas dat 'n dwaas in weelde lewe nie. Nog minder dat 'n kneg oor leiers regeer!^d
- 11** Insig keer dat 'n mens gou kwaad word,^e en dit is mooi van hom om 'n oortreding oor te sien.^f
- 12** 'n Koning se woede is soos die gebrul van 'n leeu,^g maar sy goedkeuring is soos dou op die plante.
- 13** 'n Dwase seun veroorsaak probleme vir sy pa,^h en 'n strygerige* vrou is soos 'n dak wat aanhoudend lek.ⁱ
- 14** 'n Huis en rykdom erf 'n mens by jou pa, maar 'n verstandige vrou kom van Jehovah.^j
- 15** 'n Lui persoon wil net slaap, en iemand wat traag is, sal honger ly.^k
- 16** Die een wat die gebod gehoorsaam, sal bly lewe.^l Die een wat nie omgee hoe hy lewe nie, sal sterf.^m
- 17** Die een wat goed is vir die armes, leen aan Jehovah,ⁿ en Hy sal hom terugbetaal* vir wat hy doen.^o
- 18** Dissiplineer jou seun terwyl daar nog hoop is,^p en moenie verantwoordelik word vir sy dood nie.^q
- 19** 'n Man wat gou kwaad word, sal die gevolge daarvan dra.

19:12 *Of "jong maanhaarleeu". 19:13 *Of "neulerige". 19:17 *Of "be-loon".

As jy hom teen die gevolge probeer beskerm, sal jy dit keer op keer moet doen.^a

20 Luister na raad en aanvaar dissipline,^b sodat jy in die toekoms wys kan word.^c

21 Daar is baie planne in 'n man se hart, maar die raad* van Jehovah sal bly staan.^d

22 Wat 'n mens aantreklik maak, is sy lojale liefde,^e en dit is beter om arm te wees as om 'n leuenaar te wees.

23 Vrees vir Jehovah lei tot die lewe.^f

Die een wat hom vrees, sal rustig slaap en niks oorkom nie.^g

24 Die luiaard steek sy hand in die feesbak, maar hy doen nie die moeite om dit na sy mond te bring nie.^h

25 Slaan die spotter,ⁱ sodat die onervarene verstandig kan word,^j en dissipleneer die verstandige, sodat hy meer kennis kan kry.^k

26 Die seun wat sy pa sleg behandel en sy ma wegjaag, veroorsaak skande en oneer.^l

27 My seun, as jy ophou om na dissipline te luister, sal jy afwyk van die woorde van kennis.

28 'n Nuttelose getuie bespot geregtigheid,^m en die mond van die goddeloses sluk goddeloosheid in.ⁿ

29 Spotters sal gestraf word,^o en dwase sal geslaan word.^p

19:21 *Of "voorneme".

HFST. 19

a 1Sa 24:16-18

1Sa 26:21

b Spr 4:13

c De 8:14, 16

Heb 12:7, 11

d Ge 11:6, 7

Ge 50:19, 20

Spr 21:30

Da 4:35

Han 5:38, 39

e Mi 6:8

f Spr 14:27

Mal 3:16

g Spr 12:21

h Spr 6:9-11

Spr 15:19

Spr 24:30, 31

Spr 26:14, 15

i De 25:2

j Spr 15:5

k Spr 9:9

Spr 21:11

l Eks 20:12

Le 20:9

Spr 20:20

Spr 30:17

m 1Kn 21:9, 10

n Spr 4:16, 17

o Spr 9:12

p Spr 10:13

Spr 26:3

Tweede kol.

HFST. 20

a Ge 9:20, 21

Spr 23:29-35

b Jes 28:7

c 1Kor 6:10

Ga 5:21

Ef 5:18

d Spr 19:12

Pr 10:4

e 1Kn 2:22-24

f Spr 14:29

2Ti 2:23

g Spr 18:6

Pr 7:9

h Spr 6:10, 11

2Te 3:10

i Job 1:1

Lu 1:5, 6

j Ps 37:25, 26

k 1Kn 7:7

l 1Kn 3:28

Ps 72:1, 4

Spr 16:12

m Job 14:4

n Ps 51:5

Pr 7:20

Jak 3:2

20 Wyn maak mense belaglik;^a alkohol maak hulle lawaaierig,^b

en elkeen wat as gevolg daarvan van die regte pad afdwaal, is nie wys nie.^c

2 'n Koning veroorsaak net soveel vrees soos 'n leeu* wat brul.^d

Die een wat hom kwaad maak, waag sy lewe.^e

3 Dit bring vir 'n man eer as hy 'n stryery vermy,^f maar elke dwaas raak betrokke daarby.^g

4 Die luiaard ploeg nie in die winter nie.

Daarom sal hy in die oestyd bedel, wanneer hy niks het nie.^{*h}

5 Die gedagtes* van 'n man se hart is soos diep waters, maar die man wat insig het, sal dit na die oppervlak bring.

6 Baie mense sê dat hulle lojale liefde het, maar wie kan 'n getroue man vind?

7 Die regverdige volg 'n weg van integriteit.*ⁱ Gelukkig is sy kinders wat ná hom kom.^j

8 Wanneer 'n koning op die troon sit om te oordeel,^k stel hy ondersoek in en raak hy ontslae van alle goddeloosheid.*^l

9 Wie kan sê: "Ek het my hart gereinig."^m

Ek het geen sonde nie"?ⁿ

10 Valse gewigte en valse maathouers*

20:2 *Of "jong maanhaarleeu". 20:4

*Of moontlik "Hy sal in die oestyd soek, maar niks vind nie". 20:5 *Of "bedoelings". Lett. "raad". 20:7 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

20:8 *Of "sif hy alle goddeloosheid met sy oë uit". 20:10 *Of "Twee verskillende gewigte en twee verskillende maathouers".

- albei is vir Jehovah afskuwelik.^a
- 11** Deur sy dade wys 'n kind of sy gedrag rein en reg is.^b
- 12** Die oor wat hoor en die oog wat sien
– Jehovah het hulle al twee gemaak.^c
- 13** Moenie slaap liefhê nie, want dan sal jy arm word.^d Maak jou oë oop, dan sal jy genoeg kos hê.^e
- 14** “Dit is sleg, dit is sleg!” sê die koper.
Dan gaan hy weg en spog oor wat hy gekoop het.^f
- 15** Daar is goud en ook baie korale,^{*} maar die lippe van kennis is kosbaar.^g
- 16** Neem 'n man se kleed as hy vir 'n vreemdeling borg gestaan het,^h en as hy dit vir 'n onsedelike vrou* gedoen het, moet jy van sy besittings as sekuriteit neem.ⁱ
- 17** Kos wat oneerlik verkry is, smaak vir 'n man lekker, maar agterna sal sy mond vol klippies wees.^j
- 18** As planne bespreek word, sal dit suksesvol wees,^k en met wyse leiding moet jy jou oorlog voer.^l
- 19** 'n Lasteraar praat oor vertroulike dinge.^m Moenie assosieer met iemand wat daarvan hou om te skinder nie.
- 20** As jy jou pa en jou ma vervloek, sal jou lamp uitgedoof word wanneer die duisternis kom.ⁿ
- 21** Rykdom wat deur gierigheid verkry word, sal op die ou end nie 'n seën wees nie.^o

20:15 *Sien Woordelys. 20:16 *Of “'n uitlander”.

HFST. 20

- a Spr 11:1
Am 8:5
Mi 6:11
b Spr 22:15
c Eks 4:11
d Spr 10:4
e Spr 12:11
f Le 19:13
Spr 21:6
g Spr 3:13-15
h Spr 11:15
i Spr 27:13
j Spr 6:30, 31
k Spr 15:22
l Spr 11:14
Spr 24:6
Lu 14:31, 32
m Le 19:16
Spr 11:13
Spr 25:9, 23
n Eks 20:12
Le 20:9
Spr 19:26
o Spr 28:8, 20
ITi 6:9, 10

Tweede kol.

- a De 32:35
Spr 24:29
Mt 5:38, 39
Ro 12:17, 19
1Te 5:15
b Ps 37:34
c Ps 34:7
1Pe 4:19
d Ps 37:23
Jer 10:23
e Le 27:9
f Nu 30:2
Pr 5:4, 6
Mt 5:33
g Ps 101:8
h Jes 28:27
i Ps 61:6, 7
j Ps 21:7
k Pr 11:9
l Le 19:32
Spr 16:31
m Ps 119:71

HFST. 21

- n Eks 14:4
Esr 7:27
o Ne 2:7, 8
Jes 44:28
Op 17:17
p Ps 36:1, 2
Spr 16:2
q 1Sa 16:6, 7
Spr 24:12
Jer 17:10

- 22** Moenie sê: “Ek sal jou terugbetaal vir wat jy aan my gedoen het!” nie.^a Hoop op Jehovah,^b en hy sal jou red.^c
- 23** Valse gewigte* is vir Jehovah afskuwelik, en 'n bedrieglike weegskaal is nie goed nie.
- 24** 'n Mens se voetstappe word deur Jehovah gerig.^d Hoe kan 'n mens self weet waarheen hy moet gaan?*
- 25** Dit is vir 'n mens 'n strik om oorhaastig te belowe om iets aan God te gee^e en eers later te dink aan wat hy belowe het.^f
- 26** 'n Wyse koning sif die goddeloses uit^g soos kaf van die koring geskei word.^h
- 27** Die asem van die mens is die lamp van Jehovah. Dit openbaar wat diep binne hom is.
- 28** Lojale liefde en getrouheid beskerm 'n koning.ⁱ Deur lojale liefde staan sy troon vas.^j
- 29** Die prag van jong manne is hulle krag,^k en die versiering van ou manne is hulle grys hare.^l
- 30** Kneusplekke en wonde verwyder goddeloosheid,^m en 'n pak slae maak 'n mens se innerlike skoon.
- 21** 'n Koning se hart is soos waterstrome in Jehovah se hand.ⁿ Hy lei dit waarheen Hy wil.^o
- 2** 'n Mens dink dat alles wat hy doen, reg is,^p maar Jehovah ondersoek die hart.^{*q}

20:23 *Of “Twee verskillende gewigte”.

20:24 *Of “sy eie weg verstaan”.

21:2 *Of “motiewe”.

- 3** Om te doen wat goed en reg is,
is vir Jehovah beter as 'n offerande.^a
- 4** Hoogmoedige oë en 'n trotse hart
– die lamp wat die goddeloses lei – is sonde.^b
- 5** Die planne van hardwerkers mense lei tot sukses,^{*c}
maar almal wat oorhaastig is, sal arm word.^d
- 6** Om skatte deur leuens te verkry,
is soos mis wat verdwyn, 'n dodelike strik.^{*e}
- 7** Die geweld van die goddeloses sal hulle vernietig,^f
want hulle weier om te doen wat reg is.
- 8** Die weg van 'n skuldige man is sleg,
maar 'n onskuldige man doen wat reg is.^g
- 9** Dit is beter om op 'n hoek van die dak te woon
as in dieselfde huis saam met 'n strygerige* vrou.^h
- 10** Die goddelose man smag na wat sleg is.ⁱ
Hy gee nie om vir ander mense nie.^j
- 11** Wanneer 'n spotter gestraf word, word die onervarenes wyser,
en wanneer 'n wyse persoon insig kry, weet hy wat om te doen.^{*k}
- 12** Die Regverdige hou die huis van die goddelose dop.
Hy veroorsaak die ondergang van die goddeloses.^l
- 13** Die een wat nie wil luister wanneer die armes om hulp roep nie,

21:5 *Of "voordeel". **21:6** *Of moontlik "vir dié wat die dood soek". **21:9**, **19** *Of "neulerige". **21:11** *Of "verkry hy kennis".

HFST. 21

- a 1Sa 15:22, 23
Ho 6:6
Mi 6:7, 8
Mt 12:7
- b Ps 10:4
- c Spr 13:4
- d Spr 14:29
- e Spr 1:19
Spr 20:21
- f Ps 7:14-16
- g Ps 37:37
Spr 16:17
1Pe 1:22
- h Spr 17:1
Spr 21:19
Spr 25:24
Spr 27:15
- i Ge 6:5
Ps 36:1, 4
- j 1Sa 25:10, 11
- k Spr 9:9
Spr 19:25
- l Ge 19:29
Ps 37:10, 20
2Pe 2:4
2Pe 3:5, 6

Tweede kol.

- a De 15:9
Spr 28:27
Jak 5:4
- b Spr 18:16
- c Ps 106:3
- d Jak 1:15
2Pe 2:21
- e Pr 7:4
Lu 15:13, 14
- f Est 7:10
- g Spr 17:1
Spr 21:9
Spr 25:24
Spr 27:15
- h Spr 15:6
Pr 5:19
- i Lu 15:13, 14
- j Spr 15:9
Spr 22:4
Mt 5:6
Ro 2:6, 7
- k Pr 7:19
2Kor 10:4
- l Ps 141:3
Spr 10:19
Pr 10:20

- sal geen antwoord kry wanneer hy self roep nie.^a
- 14** 'n Geskenk wat in die geheim gegee word, laat woede afkoel,^b
en 'n geheime omkoopgeskenk laat groot woede bedaar.
- 15** Dit is vir die regverdige 'n vreugde om te doen wat reg is,^c
maar dit is iets verskriklik vir die een wat goddelose dinge doen.
- 16** Die man wat afdwaal van die weg van insig,
sal beland by dié wat magtelos is in die dood.^d
- 17** Die een wat agter plesier aanloop, sal arm word.^e
Die een wat wyn en olie liefhet, sal nie ryk word nie.
- 18** Die goddelose is 'n losprys vir die regverdige,
en die een wat bedrieglik is, vir die een wat reg lewe.^f
- 19** Dit is beter om in die wildernis te woon
as saam met 'n strygerige* en moeilike vrou.^g
- 20** Daar is kosbare skatte en olie in die huis van die wyse,^h
maar die dwase man vermors wat hy het.ⁱ
- 21** Die een wat regverdigheid en lojale liefde nastreef, sal die lewe, regverdigheid en eer vind.^j
- 22** 'n Wyse man kan teen die stadsmuur van die magtiges opklim*
en die dinge[#] afbreek waarop hulle vertrou.^k
- 23** Die een wat sy mond en sy tong beheer,
bly uit die moeilikheid.^l

21:22 *Of "kan die stad van die magtiges verower". [#] Lett. "die krag".

- 24** Iemand word 'n vermete*, trotse grootprater genoem
as sy vermete optrede
geen perke het nie.^a
- 25** Die begeerte van die luitard sal sy dood veroorsaak,
want sy hande weier om te werk.^b
- 26** Die hele dag lank wil die luitard net meer hê,
maar die regverdige gee en hou niks terug nie.^c
- 27** Die offerande van die goddelose is afskuwelik.^d
Hoeveel te meer wanneer hy dit met slegte bedoelings* offer!
- 28** 'n Getuie wat leuens vertel, sal sterf.^e
maar die getuie van die man wat luister, sal suksesvol wees.
- 29** 'n Goddelose man maak asof hy baie selfvertroue het,^f
maar die weg van die getroues is seker.^g
- 30** Daar is geen wysheid, geen insig en geen raad teen Jehovah nie.^h
- 31** Die perd word vir die dag van oorlog gereedgemaak,ⁱ
maar redding behoort aan Jehovah.^j
- 22** 'n Goeie naam* is beter as baie rykdom.^k
Dit is beter om gerespekteer te word as om silwer en goud te hê.
- 2** Die ryke en die arme het die volgende in gemeen:
Jehovah het hulle albei gemaak.^l
- 3** Die verstandige sien die gevaar en vermy dit,

21:24 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. **21:27** *Of "saam met skandelijke gedrag". **22:1** *Of "'n Goeie reputasie". Lett. "'n Naam".

- HFST. 21
a Nu 14:44
Est 6:4
b Spr 6:6-11
Spr 13:4
Spr 19:24
c Ps 37:25, 26
Ps 112:9
Lu 6:30
d 1Sa 15:22, 23
Spr 15:8
Jes 1:11
e De 19:18, 19
Spr 19:5
f Spr 28:14
Spr 29:1
g Spr 11:5
h Nu 23:7, 8
Spr 19:21
Han 5:38, 39
i Ps 20:7
Ps 33:17
Jes 31:1
j 2Kr 20:15, 17
Ps 68:20
Op 7:10

- HFST. 22
k Pr 7:1
l Han 17:26

Tweede kol.

- a Ps 34:9
Spr 18:12
b Spr 4:14, 15
c Ge 18:19
De 6:6, 7
Ef 6:4
d 2Ti 3:14, 15
e 2Kn 4:1
Mt 18:25
f Ga 6:7, 8
g Ps 125:3
h De 15:7, 8
Spr 11:25
Heb 6:10

- i Ps 45:2
Spr 16:13
Mt 5:8
j Han 13:8-10
k Spr 26:13-15

maar die onervarene gaan voort en moet die gevolge dra.

- 4** Nederigheid en vrees vir Jehovah lei tot rykdom en eer en die lewe.^a
- 5** Daar is dorings en strikke op die weg van die slegte man,
maar die een wat sy lewe liefhet, bly ver weg daarvan.^b
- 6** Lei 'n kind* op in die weg wat hy moet volg.^c
Selfs as hy oud word, sal hy dit nie verlaat nie.^d
- 7** Die ryke heers oor die armes,
en die lener is 'n slaaf van die man by wie hy leen.^e
- 8** Die een wat onregverdigheid saai, sal rampspoed oes,^f
en sy oorheersing van ander* sal tot 'n einde kom.^g
- 9** Die vrygewige persoon sal geseën word,
want hy deel sy kos met die armes.^h
- 10** Jaag die spotter weg,
dan sal stryery verdwyn,
en regsake* en beledigings sal ophou.
- 11** Die een wie se hart rein is* en wie se woorde aange-naam is,
sal die koning as sy vriend hê.ⁱ
- 12** Jehovah bewaar kennis,
maar hy laat die woorde van bedrieglike mense misluk.^j
- 13** Die luitard sê: "Daar is 'n leeu buite!
Ek sal op die openbare plein doodgemaak word!"^k

22:6 *Lett. "seun". Of "jongmens".
22:8 *Lett. "die stok van sy woede".
22:10 *Of "geskille". **22:11** *Lett. "wat 'n rein hart liefhet".

- 14 Die woorde van slegte* vrouens is soos 'n diep gat.^a
Die een wat deur Jehovah veroordeel word, sal daarin val.
- 15 Dwaasheid sit vas in die hart van 'n kind,^{*b} maar die lat van dissipline sal dit ver van hom af verwyder.^c
- 16 Die een wat die armes uitbuit sodat hy ryker kan word^d en die een wat geskenke aan die rykes gee, sal arm word.
- 17 Skenk aandag aan die woorde van die wyses,^e sodat jy my kennis in jou hart kan laat insink.^f
- 18 Want dit is goed om dit diep binne-in jou te bewaar,^g sodat jy altyd oor al hierdie dinge sal praat.^h
- 19 Ek gee jou vandag kennis, sodat jy op Jehovah sal vertrou.
- 20 Het ek nie reeds aan jou geskryf en jou raad en kennis gegee nie?
- 21 Ek het jou ware en betroubare woorde geleer, sodat jy 'n akkurate verslag kan terugneem na die een wat jou gestuur het.
- 22 Moenie die arm man beroof omdat hy arm is nie,ⁱ en moenie die hulpelose in die stadspoort onderdruk nie,^j
- 23 want Jehovah sal hulle verdedig,^k en hy sal die lewe neem van dié wat hulle uitbuit.
- 24 Moenie assosieer met iemand wat gou kwaad word nie,

22:14 *Lett. "vreemde". Sien Spr 2:16.
22:15 *Lett. "seun". Of "jongmens".

HFST. 22

a Spr 5:3
Pr 7:26

b Ge 8:21

c Spr 13:24
Spr 19:18

d Ps 12:5
Spr 14:31

e Spr 13:20

f Spr 15:14

g Spr 2:10
Spr 24:14

h Spr 15:7

i Spr 23:10

j Eks 23:6
Am 5:12

k 1Sa 24:12
Ps 12:5

Tweede kol.

a Spr 13:20

b Spr 6:1-3

c De 19:14
Spr 23:10
Ho 5:10

d 1Sa 16:18, 19
1Kn 7:13, 14

HFST. 23

e Spr 28:20
Joh 6:27
1Ti 6:9, 10

f 1Jo 2:16, 17

g Spr 27:24

- en moenie betrokke raak by iemand wat geneig is om woedend te word nie,
- 25 sodat jy nooit sy weë sal aanleer en so in 'n strik beland nie.^a
- 26 Moenie onder dié wees wat 'n ooreenkoms maak om borg te staan vir 'n lening nie.^b
- 27 As jy nie kan betaal nie, sal jou bed onder jou uit geneem word!
- 28 Moenie 'n grensmerker verskuif wat jou voorvaders lank gelede daar gesit het nie.^c
- 29 Het jy 'n man gesien wat sy werk goed kan doen? Hy sal voor konings staan.^d Hy sal nie voor gewone mense staan nie.

23 As jy by 'n koning gaan eet,

moet jy mooi kyk na wat voor jou is.

2 Sit 'n mes teen jou keel* as jy 'n groot eetlus* het.

3 Moenie sy lekker kos begeer nie, want dit kan jou bedrieg.

4 Moenie jouself uitput om rykdom te verkry nie.^e Hou op en wees eerder verstandig.*

5 Terwyl jy nog daarna kyk, verdwyn dit,^f want dit sal vlerke kry soos dié van 'n arend en wegvlieg.^g

6 Moenie 'n suinige persoon se kos eet nie.

Moenie sy lekker kos begeer nie.

7 Want hy is soos iemand wat boekhou van alles.*

23:2 *Of "Hou jou in". #Of "siel vol verlange". 23:4 *Of moontlik "Hou op om op jou eie begrip te vertrou". 23:7 *Of "wat in sy siel berekening maak".

“Eet en drink,” sê hy vir jou, maar hy bedoel dit nie.

- 8** Wat jy geëet het, sal jy opgooi, en jou komplimente sou verniet gewees het.
- 9** Moenie met die dwaas praat nie,^a want hy sal jou wyse woorde verag.^b
- 10** Moenie 'n grensmerker verskuif wat lank gelede daar gesit is nie^c of grond van weeskinders neem nie.
- 11** Want hulle Verlosser* is sterk. Hy sal hulle saak teen jou verdedig.^d
- 12** Maak jou hart oop vir dissipline, en skenk aandag aan die woorde van kennis.
- 13** Moenie dissipline terughou van 'n kind* nie.^e As jy hom slaan,^f sal hy nie sterf nie.
- 14** Jy moet hom slaan^g om hom van die Graf* te red.
- 15** My seun, as jou hart wys word, dan sal my hart bly wees.^f
- 16** Diep binne my sal ek* vreugdevol wees wanneer dit wat reg is, uit jou mond kom.
- 17** Moenie* jaloers wees op sondaars nie,^g maar vrees Jehovah die hele dag lank,^h
- 18** want dan sal jy 'n toekoms hê.ⁱ

23:11 *Of “Verdediger”. 23:13 *Let. “seun”. Of “jongmens”. 23:13, 14 *Let. “met die lat slaan”. Kan verwys na dissipline of straf. 23:14 *Of “Sjeool”. Sien Woordelys. 23:16 *Let. “My niere sal”. 23:17 *Let. “Laat jou hart nie”.

HFST. 23

a Spr 9:7
Spr 26:4

b Mt 7:6

c De 19:14
Spr 22:28

d Eks 22:22, 23
Ps 10:14

e Spr 13:24
Spr 19:18
Ef 6:4

f Spr 27:11
3Jo 4

g Ps 37:1

h Ps 111:10
2Kor 7:1

i Ps 37:37
Spr 24:14

Tweede kol.

a Spr 20:1
Jes 5:11
Ro 13:13
1Pe 4:3

b Spr 28:7
1Kor 10:31

c De 21:20, 21
Spr 21:17

d Eks 20:12
Eks 21:17
Mt 15:5, 6
Ef 6:1

e Flp 3:7, 8

f Spr 4:5
Spr 16:16

g Ps 107:43

h Spr 22:14

i Spr 7:10, 12
Pr 7:26

en jou hoop sal nie verdwyn nie.

- 19** Luister, my seun, en word wys, en laat jou hart die regte weg volg.
- 20** Bly weg van mense wat te veel wyn drink^a of wat hulle ooreet aan vleis,^b
- 21** want 'n dronkaard en 'n vraat sal arm word,^c en slaperigheid sal 'n mens stukkende klere laat dra.
- 22** Luister na jou pa wat jou geboorte veroorsaak het, en moenie neersien op jou ma net omdat sy oud geword het nie.^d
- 23** Koop* waarheid en moet dit nooit verkoop nie,^e ook wysheid en dissipline en verstandigheid.^f
- 24** Die pa van 'n regverdigte sal vir seker vreugdevol wees. Die pa van 'n wyse seun sal bly wees oor hom.
- 25** Jou pa en jou ma sal vreugdevol wees, en sy wat aan jou geboorte gegee het, sal bly wees.
- 26** My seun, gee tog jou hart aan my, en mag jy vreugde vind in my weë.^g
- 27** Want 'n prostituut is soos 'n diep gat, en 'n onsedelike* vrou is soos 'n nou put.^h
- 28** Sy lê en wag soos 'n rower.ⁱ Sy laat die een man ná die ander ontroou word.
- 29** Wie kla en kerm? Wie voel onrustig? Wie stry heelyd? Wie het klagtes? Wie het wonde sonder rede? Wie het dowwe oë?

23:23 *Of “Verkry”. 23:27 *Let. “uitlandse”. Sien Spr 2:16.

30 Dié wat lank by die wyn bly,^a
dié wat gemengde wyn
soek.*

31 Moenie na die wyn se rooi
kleur kyk,
terwyl dit in die beker
vonkel en glad afgly nie,

32 want op die ou end byt dit
soos 'n slang
en skei dit gif af soos
'n adder.

33 Jou oë sal vreemde dinge
sien,
en jou hart sal jou verkeer-
de dinge laat sê.^b

34 En jy sal soos iemand wees
wat op die oop see lê,
soos iemand wat bo-op
'n skip se mas lê.

35 Jy sal sê: "Hulle het my ge-
slaan, maar ek het dit nie*
gevoel nie.

Hulle het my hard geslaan,
maar ek het dit nie geweet
nie.

Wanneer sal ek wakker
word?^c

Ek het nog 'n drankie
nodig."

24 Moenie jaloers wees op
goddelose mense nie,
en moenie hulle geselskap
begeer nie.^d

2 want hulle* dink heeltyd
aan geweld,
en hulle praat net van moei-
likheid maak.

3 Deur wysheid word 'n huis*
opgebou,^e
en deur insig sal dit
vasstaan.

4 Deur kennis word die
kamers gevul
met allerhande mooi en
kosbare skatte.^f

23:30 *Of "bymeekaarkom om gemeng-
de wyn te drink". 23:35 *Of "geen
pyn". 24:2 *Lett. "hulle hart". 24:3
*Of "huisgesin".

HFST. 23

a Spr 20:1
Ef 5:18

b Ho 4:11

c Ge 19:33

HFST. 24

d Ps 26:5
Spr 1:10

e Spr 9:1
Spr 14:1

f 1Kn 10:23
Spr 15:6

Tweede kol.

a Spr 8:14
Spr 21:22

b Spr 20:18
Lu 14:31, 32

c Spr 11:14
Spr 13:10
Spr 15:22
Han 15:5, 6

d Spr 14:6
1Kor 2:14

e Spr 6:12-14

f Spr 22:10

g Ps 82:4

h Spr 5:21
Spr 17:3
Spr 21:2

i Ps 62:12
Mt 16:27
Ro 2:5, 6

j Ps 19:9, 10
Ps 119:103

k Spr 23:18

5 'n Wyse man is sterk,^a
en deur kennis kry 'n man
meer krag.

6 Voer jou oorlog met wyse
leiding.^b
Met baie raadgewers sal jy
oorwin.*^c

7 'n Dwaas kan nie ware wys-
heid verkry nie.^d
In die stadspoort het hy niks
om te sê nie.

8 Iemand wat beplan om god-
delose dinge te doen,
kry 'n naam as 'n skelm.^e

9 Die planne van 'n dwaas* is
sonde,
en mense hou niks van
'n spotter nie.^f

10 As jy mismoedig word in
moeilike tye,
sal jy min krag hê.

11 Red dié wat weggeneem
word na die dood,
en hou dié terug wat op pad
is na die slagting.^g

12 As jy sê: "Maar ons het nie
daarvan geweet nie,"
sal die Een wat harte* on-
dersoek, dit opmerk.^h
Ja, die Een wat sy oog op jou
hou, sal weet
en sal elkeen volgens sy
dade terugbetaal.ⁱ

13 My seun, eet heuning, want
dit is goed.
Heuning uit die heuning-
koek is soet.

14 Net so moet jy weet dat wys-
heid goed is vir jou.^j
As jy dit vind, sal jy 'n toe-
koms hê,
en jou hoop sal nie verdwyn
nie.^k

15 Moenie goddeloos wees en
die regverdige naby sy
huis gaan voorlê nie.

24:6 *Of "sukcesvol wees; red-
ding kry". 24:9 *Of "Dwase planne".
24:12 *Of "motiewe".

- Moenie sy rusplek verwoes nie.
- 16** Want die regverdige kan sewe keer val, en hy sal weer opstaan,^a maar die goddelose sal weens ramspoed val en bly lê.^b
- 17** Wanneer jou vyand val, moet jy nie bly wees nie, en wanneer hy struikel, moet jou hart nie vreugdevol wees nie,^c
- 18** anders sal Jehovah dit sien en ontevrede wees, en Hy sal nie meer vir jou vyand kwaad wees nie.^d
- 19** Moenie ontsteld wees oor slegte mense nie. Moenie jaloers wees op goddelose mense nie.
- 20** Want daar is geen toekoms vir iemand wat sleg is nie.^e Die lamp van die goddeloses sal uitgedoof word.^f
- 21** My seun, vrees Jehovah en die koning.^g Moenie assosieer met dié wat in opstand kom* nie,^h
- 22** want hulle ondergang sal skielik kom.ⁱ Wie weet watter ramspoed God en die koning oor hulle sal bring?^j
- 23** Hierdie woorde behoort aan wyse mense: Dit is nie goed om partydig te wees wanneer jy oordeel nie.^k
- 24** Iemand wat vir die goddelose sê: "Jy is regverdig,"^l sal deur die volke vervloek word en deur die nasies veroordeel word.
- 25** Maar dit sal goed gaan met dié wat hom tereg wys.^m Hulle sal geseën word met goeie dinge.ⁿ

24:21 *Of "wat 'n verandering wil hê".

HFST. 24

- a Ps 34:19
2Kor 1:10
- b 1Sa 26:9,10
Est 7:10
- c Job 31:29
Spr 17:5
Spr 25:21,22
- d Ese 26:2,3
Sag 1:15
- e Ps 73:18,27
Spr 10:7
- f Spr 13:9
- g 1Sa 24:6,7
1Pe 2:17
- h 2Sa 15:12
- i Nu 16:2,31
- j Spr 20:2
- k Le 19:15
De 1:16,17
De 16:19
2Kor 19:7
1Ti 5:21
- l Spr 17:15
- m Le 19:17
1Ti 5:20
- n Spr 28:23

Tweede kol.

- a Spr 27:5
- b Eks 20:16
- c Ef 4:25
- d Spr 20:22
Ro 12:17,19
1Te 5:15
- e Spr 6:10,11
- f Spr 20:4
Spr 22:13
Pr 10:18
- g Spr 10:4
Spr 23:21

HFST. 25

- h 1Kn 4:29,32
Pr 12:9
- i 2Kr 29:1

- 26** Mense sal iemand respekteer* wat 'n eerlike antwoord gee.^{#a}
- 27** Reël eers jou werk wat buite gedoen moet word, en maak alles op die landery gereed. Daarna moet jy jou huis* bou.
- 28** Moenie sonder rede teen jou medemens getuig nie.^b Moenie jou lippe gebruik om ander te bedrieg nie.^c
- 29** Moenie sê: "Ek gaan aan hom doen net soos hy aan my gedoen het. Ek gaan hom terugbetaal vir wat hy gedoen het" nie.^d
- 30** Ek het by die landery van die luiaard verbygegaan,^e by die wingerd van die onverstandige mens.
- 31** Ek het gesien dat dit toegegroei was van die onkruid. Die grond was toe onder die brandnetels, en sy klipmuur was afgebreek.^f
- 32** Ek het daarna gekyk en daaroor nagedink. Ek het dit gesien en hierdie les geleer:
- 33** Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om te rus,
- 34** en jou armoede sal kom soos 'n dief, en swaarkry sal jou oorval soos 'n gewapende man.^g
- 25** Hier is nog spreuke van Salomo,^h wat die manne van Hiski'a,ⁱ die koning van Juda, opgeskryf* het:

24:26 *Lett. "sal die lippe soen". [#]Of moontlik "Om 'n reguit antwoord te gee, is soos om 'n soen te gee". **24:27** *Of "huisgesin". **25:1** *Of "oorgeskryf en saamgestel".

- 2** God word verheerlik omdat hy 'n saak geheim hou,^a en konings word geëer omdat hulle 'n saak ondersoek.
- 3** Net soos niemand weet hoe hoog die hemel is of hoe diep die aarde is nie, weet niemand wat in die hart van konings aangaan nie.
- 4** Verwyder die metaalskuim van die silwer, en dit sal heeltemal suiwer wees.^b
- 5** Verwyder die goddelose man voor die koning, en sy troon sal stewig gevestig word in regverdigheid.^c
- 6** Moenie jouself voor die koning eer nie,^d en moenie tussen belangrike mense gaan staan nie.^e
- 7** Want dit is beter dat hy vir jou sê: “Kom hierheen,” as dat hy jou voor 'n belangrike persoon verneder.^f
- 8** Moenie haastig wees om 'n saak teen jou medemens te maak nie, want wat sal jy agterna doen as hy jou verneder?^g
- 9** Praat die saak uit met jou medemens.^h
En moenie vertroulike sake* openbaar nie.ⁱ
- 10** Anders sal die een wat luister, skande oor jou bring, en jy sal 'n slegte berig* versprei wat jy nie kan terugtrek nie.
- 11** 'n Woord op die regte tyd is soos goue appels in silwerhouers.^{*j}
- 12** Soos 'n ooring van goud en juwele van suiwer goud,

HFST. 25

a De 29:29
Ro 11:33

b Spr 17:3

c 1Kn 2:44, 46
Spr 20:28
Spr 29:14

d Spr 27:2

e Ps 131:1

f Lu 14:8-10
1Pe 5:5g Spr 18:17
Mt 5:25

h Mt 18:15

i Spr 11:13

j Spr 15:23
Jes 50:4

Tweede kol.

a Ps 141:5
Spr 1:8, 9
Spr 9:8

b Spr 13:17

c Mt 5:37

d Ge 32:4, 5
Spr 15:1

e Spr 25:27

f Eks 20:16

g Ps 137:3, 4

h Eks 23:5
2Kn 6:21, 22
Spr 24:17
Mt 5:44

so is 'n wyse persoon se te-regwysing vir 'n oor wat bereid is om te luister.^a

- 13** Soos die koelheid van sneeu op die oesdag, so is 'n getroue boodskap- per vir dié wat hom gestuur het, want hy gee sy meester nuwe moed.^b
- 14** Soos wolke en wind wat geen reën bring nie, so is 'n man wat spog oor 'n geskenk wat hy nooit gee nie.^c
- 15** Deur geduld word 'n bevelvoerder oorreed, en 'n vriendelike* tong kan 'n been breek.^d
- 16** As jy heuning vind, moet jy net genoeg eet, want as jy te veel daarvan eet, sal jy dit dalk opgooi.^e
- 17** Moenie te veel by jou medemens kuier nie, sodat hy nie vir jou moeg raak en jou begin haat nie.
- 18** Soos 'n knuppel en 'n swaard en 'n skerp pyl, so is iemand wat valslik getuig teen sy medemens.^f
- 19** Soos 'n gebreekte tand of 'n voet wat swik, so is vertroue in 'n onbetroubare* persoon in moeilike tye.
- 20** Soos iemand wat 'n kleed op 'n koue dag uittrek, en soos asyn wat op soda* gegooi word, so is die een wat liedjies sing vir iemand wat terneergedruk is.^g
- 21** As jou vyand* honger is, gee hom iets om te eet, en as hy dors is, gee hom iets om te drink.^h
- 25:15** *Of “sagte”. **25:19** *Of moontlik “bedrieglike”. **25:20** *Of “alkali”. **25:21** *Lett. “die een wat jou haat”.

25:9 *Of “die geheime van ander”.
25:10 *Of “kwaadwillige storie”.
25:11 *Of “silwersnywerk”.

- 22** want dit sal wees asof jy brandende kole op sy kop sit,*^a
en Jehovah sal jou beloon.
- 23** Die noordewind bring 'n stortreën,
en 'n tong wat skinder,
bring woede.^b
- 24** Dit is beter om op 'n hoek van die dak te woon as in dieselfde huis saam met 'n strygerige* vrou.^c
- 25** 'n Goeie berig wat uit 'n verland kom,
is soos koue water vir 'n siel* wat moeg is.^d
- 26** Soos 'n modderige fontein en 'n vuil put,
so is 'n regverdige wat toegee aan* 'n goddelose.
- 27** Dit is nie goed om te veel heuning te eet nie,^e
en dit is ook nie goed om jou eie eer te soek nie.^f
- 28** Soos 'n stad sonder 'n muur,*
so is die man wat nie sy humeur onder beheer kan hou nie.^g
- 26** Sneeu pas nie by die somer nie, en reën pas nie by die oestyd nie.
Net so pas eer nie by 'n dwaas nie.^h
- 2** Soos 'n voël rede het om te vlieg,
so kom 'n vervloeking nie sonder 'n goeie rede nie.*
- 3** 'n Sweep is vir die perd, 'n toom is vir die donkieⁱ

25:22 *D.w.s. om iemand se hart sag te maak en sy hardheid te laat wegsmeel. 25:24 *Of "neulerige". 25:25 *Sien Woordelys. 25:26 *Lett. "wankeel voor". 25:28 *Of "met 'n afgebreekte muur". 26:2 *Of moontlik "so kom daar niks van 'n onverdiende vervloeking nie".

HFST. 25

a Ro 12:20

b Ps 101:5

c Spr 21:9, 19
Spr 27:15d Spr 15:30
Jes 52:7

e Spr 25:16

f Spr 27:2
Joh 5:44
Flp 2:3g 1Sa 20:33
Spr 16:32
Spr 22:24, 25
Spr 29:11

HFST. 26

h Spr 30:21, 22
Pr 10:7

i Ps 32:9

Tweede kol.

a Spr 27:22

b Mt 21:23-25

c Spr 17:7

d Spr 19:10
Spr 26:1

e 2Pe 2:22

f Spr 12:15
1Kor 3:18
1Kor 8:2

g Spr 22:13

h Spr 6:9
Spr 19:15
Spr 24:33, 34

en die lat is vir die rug van die dwaas.^a

- 4** Moenie 'n dwaas volgens sy dwaasheid antwoord nie, sodat jy nie aan hom gelyk word nie.
- 5** Antwoord 'n dwaas volgens sy dwaasheid,
sodat hy nie dink dat hy wys is nie.^b
- 6** Soos iemand wat sy eie voete vermink en homself seermaak,
so is die een wat sake aan 'n dwaas toevertrou.
- 7** Soos die slap bene van die verlamdes,
so is 'n spreuk in die mond van dwase mense.^c
- 8** Soos iemand wat 'n klip aan 'n slingervel vasbind,
so is die man wat eer aan 'n dwaas gee.^d
- 9** Soos 'n doringbos in die hand van 'n dronkaard,
so is 'n spreuk in die mond van dwase mense.
- 10** Soos 'n boogskutter wat blindelings skiet,*
so is die een wat 'n dwaas of 'n verbyganger huur.
- 11** Soos 'n hond wat terugkeer na wat hy opgegooi het,
herhaal die dwaas sy dwaasheid.^e
- 12** Het jy 'n man gesien wat dink dat hy wys is?^f
Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom.
- 13** Die luitaard sê: "Daar is 'n jong leeu op die pad,
'n leeu op die openbare plein!"^g
- 14** 'n Deur bly draai op sy skarniere,
en die luitaard op sy bed.^h
- 15** Die luitaard steek sy hand in die feesbak,
- 26:10** *Of "wat almal wond".

- maar hy is te moeg om dit na sy mond te bring.^a
- 16** Die luiaard dink dat hy wyser is as sewe mense wat 'n verstandige antwoord gee.
- 17** Soos iemand wat 'n hond aan die ore gryp, so is 'n verbyganger wat woedend word oor* 'n stryery wat niks met hom te doen het nie.^b
- 18** Soos 'n mal mens wat brandende en dodelike pyle afskiet,
- 19** so is die man wat sy medemens bedrieg* en sé: “Dit was net 'n grap!”^c
- 20** Waar daar geen hout is nie, gaan die vuur dood, en waar daar geen lasteraar is nie, hou die stryery op.^d
- 21** Soos houtskool op gloeiende kole en hout op 'n vuur, so laat 'n skoorsoeker 'n stryery opvlam.^e
- 22** Die woorde van 'n lasteraar is soos lekker eetgoed wat vinnig ingesluk word en tot in die maag afgly.^f
- 23** Soos 'n silwerlagie op 'n gebreekte kleipot, so is liefdevolle woorde uit 'n goddelose hart.^g
- 24** Die een wat ander haat, steek dit weg agter sy woorde, maar in sy hart is daar bedrog.
- 25** Al praat hy vriendelik, moet jy hom nie vertrou nie, want daar is sewe afskuwelike dinge in sy hart.*
- 26** Al steek hy sy haat weg deur middel van bedrog,

26:17 *Of moontlik “betrokke raak by”.
26:19 *Of “wat sy medemens 'n skadelike poets bak”.
26:25 *Of “want sy hart is heeltemal afskuwelik”.

HFST. 26

a Spr 19:24

b 1Te 4:11
1Pe 4:15

c Spr 15:21

d Spr 22:10
Jak 3:6

e Spr 3:30
Spr 16:28
Spr 17:14

f Spr 18:8

g 2Sa 20:9,10

Tweede kol.

a Est 7:10
Ps 9:15
Spr 28:10
Pr 10:8

b Spr 29:5

HFST. 27

c Lu 12:19,20
Jak 4:13,14

d Spr 25:27
Jer 9:23
2Kor 10:18

e 1Sa 25:25

f Ge 37:9-11
Spr 14:30
Han 17:5

g Le 19:17
Mt 18:15

h 2Sa 12:7,9
Ps 141:5
Op 3:19

sal sy goddeloosheid in die gemeente aan die lig kom.

- 27** Die een wat 'n gat grawe, sal daarin val, en die een wat 'n klip wegrol, sal daardeur getref word.^a
- 28** 'n Valse tong haat dié wat hy seermaak, en 'n vleierende mond is verwoestend.^b
- 27** Moenie spog oor wat jy môre gaan doen nie, want jy weet nie wat môre gaan gebeur nie.^c
- 2** Laat iemand anders jou prys, en nie jou eie mond nie. Laat ander dit doen, en nie jou eie lippe nie.^d
- 3** 'n Klip is swaar en sand weeg baie, maar die irritasie wat 'n dwaas veroorsaak, is swaarder as al twee.^e
- 4** Woede is wreed, en dit is soos vernietigende vloedwaters, maar wie kan voor jaloesie staande bly?^f
- 5** 'n Openlike teregwysing is beter as liefde wat weggesteek word.^g
- 6** Al maak 'n vriend se teregwysing seer, bewys dit sy getrouheid,^h maar 'n vyand gee baie soene.*
- 7** As iemand genoeg geëet het, wil hy nie eers heuning uit 'n heuningkoek hê nie, maar as 'n mens honger is, smaak selfs wat bitter is, soet.
- 8** Soos 'n voël wat ver van sy nes af is,*

27:6 *Of moontlik “'n vyand se soene is vals”.
27:8 *Of “wat van sy nes af vlug”.

- so is 'n man wat ver van sy huis af is.
- 9** Olie en reukwerk maak die hart bly, so ook die vriendskap van iemand wat jou opregte raad gee.^a
- 10** Moenie jou rug draai op jou vriend of jou pa se vriend nie, en moenie na jou broer se huis gaan as rampspoed jou tref nie. 'n Buurman wat naby is, is beter as 'n broer wat ver weg is.^b
- 11** Wees wys, my seun, en maak my hart bly,^c sodat ek hom wat my uit-tart, 'n antwoord kan gee.^d
- 12** Die verstandige sien die ge-vaar en vermy dit,^e maar die onervarene gaan voort en moet die gevolge dra.
- 13** Neem 'n man se kleed as hy vir 'n vreemdeling borg gestaan het, en as hy dit vir 'n onsedelike vrou* gedoen het, moet jy van sy besittings as sekuriteit neem.^f
- 14** As iemand sy medemens vroeg in die oggend met 'n harde stem seën, sal dit as 'n vloek beskou word.
- 15** 'n Stryerige* vrou is soos 'n dak wat aanhoudend lek op 'n reënerige dag.^g
- 16** Iemand wat haar kan beheer, kan die wind beheer en kan olie in sy regterhand vashou.
- 17** Soos yster deur yster geslyp word, so vorm* vriende mekaar.^h

27:13 *Of "n uitlander". **27:15** *Of "Neulerige". **27:17** *Lett. "slyp".

HFST. 27

a 1Sa 23:16
Spr 15:23
Spr 16:24

b Spr 17:17
Spr 18:24

c Spr 10:1
Spr 23:15
2Jo 4

d Job 1:8, 9

e Spr 18:10
Jes 26:20
Heb 11:7

f Spr 20:16

g Spr 21:9, 19

h 1Sa 23:16
Heb 10:24, 25

Tweede kol.

a Spr 13:4

b Ge 39:2
Spr 17:2

c Spr 30:15, 16

d Spr 17:3

e Kol 3:23

f Spr 23:4, 5
1Ti 6:17

- 18** Die een wat 'n vyeboom versorg, sal die vrugte daarvan eet,^a en die een wat vir sy mees-ter sorg, sal geëer word.^b
- 19** Soos water 'n mens se gesig weerspieël, so weerspieël die hart van een mens dié van 'n ander.
- 20** Die Graf en die plek van vernietiging* raak nooit versadig nie,^c en die oë van 'n mens raak ook nooit versadig nie.
- 21** Soos die smeltpot vir silwer is en die smeltoond vir goud,^d so word 'n mens getoets deur die lof wat hy ontvang.
- 22** Graan word met 'n stamper fyngemaal. Maar al doen jy dit met 'n dwaas, sal jy nie sy dwaasheid uit hom kry nie.
- 23** Jy moet weet hoe dit met jou kudde gaan.* Sorg goed vir[#] jou skape,^e
- 24** want rykdom hou nie vir ewig nie,^f en 'n kroon ook nie tot in alle geslagte nie.
- 25** Die groen gras verdwyn, nuwe gras verskyn en voer word uit die berge ingebring.
- 26** Die jong ramme voorsien wol vir jou klere, en die bokramme wat jy verkoop, voorsien geld vir 'n stuk grond.
- 27** En daar sal genoeg bokmelk vir jou, jou huisgesin en jou diens-meisies wees.

27:20 *Of "Sjeool en Abaddon".
27:23 *Of "die voorkoms van jou kudde goed ken". [#]Of "Rig jou hart op; Skenk aandag aan".

28 Die goddeloses vlug sonder dat iemand hulle jaag,

maar die regverdige het die moed van 'n leeu.*^a

2 Wanneer daar opstand* in die land is, sal daar een leier ná die ander wees,^b maar 'n leier sal lank regeer as iemand met insig en kennis hom help.^c

3 'n Arm man wat die hulpeloses uitbuit,^d is soos stortreën wat al die kos wegspoel.

4 Dié wat die wet ignoreer, prys die goddelose, maar dié wat die wet gehoorsaam, vererg hulle vir die goddelose.^e

5 Slegte mense kan nie verstaan wat reg is nie, maar dié wat Jehovah se hulp vra,* kan alles verstaan.^f

6 'n Arm man wat 'n weg van integriteit* volg, is beter as 'n ryk man wie se weë sleg is.^g

7 'n Verstandige seun gehoorsaam die wet, maar iemand wat met vrate vriende is, steek sy pa in die skande.^h

8 Die een wat rykdom verkry deur renteⁱ en onregverdige wins, maak dit bymekaar vir die een wat goed is vir die armes.^j

9 As iemand weier om die wet te gehoorsaam, is selfs sy gebed iets afskuweliks.^k

10 Die een wat die getroues mislei om 'n verkeerde pad

28:1 *Of "jong leeu". 28:2 *Of "oortreding". 28:5 *Lett. "Jehovah soek". 28:6 *Of "onkreukbaarheid". Sien Woordelys.

HFST. 28

a Da 3:16,17
Han 4:13

b 1Kn 16:8,15
1Kn 16:22

c Da 4:27

d Spr 14:31

e Nu 25:6-8
1Sa 15:22,23
Ef 5:11

f Ps 25:14
Mr 4:11,12
Jak 1:5

g Spr 16:8
Spr 19:1

h Spr 23:20
1Kor 15:33

i De 23:19

j Spr 13:22
Spr 19:17

k Ps 66:18
Spr 15:29
Jes 1:15

Tweede kol.

a Ps 7:14-16

b De 7:12
Ps 37:11,18
Ps 84:11

c Spr 18:11

d Mr 10:21

e 1Kn 17:1-3
Spr 29:2

f 1Sa 15:13-15

g 2Sa 12:13
2Kr 33:12,13
Ps 32:3,5
Ps 51:1

h Eks 7:22
Ne 9:29
Spr 29:1
Jer 16:12,13

i Sef 3:3
Mt 2:16

j Ne 5:15
Am 4:1

k Jes 33:15,16

l Ge 9:6
1Kn 21:19
Mt 27:3-5

m Ps 25:21

n Ps 73:12,18
1Te 5:3
Op 3:3

te volg, sal in sy eie strik trap,^a

maar dié wat 'n rein lewe lei, sal met goeie dinge beloon word.^b

11 'n Ryk man is wys in sy eie oë,^c

maar 'n arm man met insig kan dwarsdeur hom sien.^d

12 Dit is wonderlik wanneer die regverdige oorwin, maar wanneer die goddeloses begin regeer, kruip mense weg.^e

13 Iemand wat sy oortredings geheim hou, sal nie sukses hê nie,^f

maar die persoon wat dit bely en ophou daarmee, sal genade ontvang.^g

14 Gelukkig is die man wat altyd waaksaam is,*

maar die een wat sy hart verhard, sal deur rampspoed getref word.^h

15 Soos 'n brullende leeu en 'n beer wat op 'n mens afstorm,

so is 'n goddelose heerser wat oor 'n hulpelose volk regeer.ⁱ

16 'n Leier sonder insig misbruik sy mag,^j

maar die een wat oneerlike wins haat, sal lank lewe.^k

17 'n Man wat vir iemand se dood verantwoordelik is, sal vlug totdat hy in die graf is.^l

Niemand moet hom help nie.

18 Die een wat 'n rein lewe lei, sal gered word,^m

maar die een wat 'n verkeerde weg volg, sal skielik val.ⁿ

19 Die een wat sy grond bewerk, sal baie kos hê,

28:14 *Of "wat nooit sonder vrees is nie".

- maar die een wat nuttelose dinge najaag, sal arm word.^a
- 20** 'n Betroubare man sal baie seëninge kry,^b maar die een wat probeer om vinnig ryk te word, sal nie onskuldig bly nie.^c
- 21** Dit is nie goed om partydig te wees nie,^d maar iemand sal dalk iets verkeerds doen vir 'n stukkie brood.
- 22** 'n Gierige* man jaag rykdom na, maar hy besef nie dat armoede hom sal inhaal nie.
- 23** Die een wat iemand tereg-wys,^e sal agterna meer waardeer word^f as die een wat sy tong gebruik om te vlei.
- 24** Die een wat van sy pa en ma steel en sê: "Dit is nie verkeerd nie,"^g is so goed as 'n misdadiger.^h
- 25** 'n Gierige* persoon veroorsaak onenigheid, maar iemand wat op Jehovah vertrou, sal voorspoedig wees.ⁱ
- 26** Die een wat op sy eie hart vertrou, is dwaas,^j maar die een wat wys optree, sal veilig wees.^k
- 27** Iemand wat aan die armes gee, sal niks kortkom nie,^l maar baie vervloeking wag op die een wat die armes ignoreer.
- 28** Wanneer die goddeloses begin regeer, kruip mense weg, Maar wanneer hulle sterf, word die regverdiges baie.^m
- 29** 'n Man wat hardkoppig bly nadat hy herhaaldelik tereggewys is,ⁿ

28:22 *Of "Afgunstige (Jaloerse)".
28:25 *Of moontlik "Hoogmoedige".

HFST. 28
a Spr 23:21
Lu 15:13,14
b 1Sa 18:5
Ne 7:2
Ps 101:6
c 2Kn 5:20-22
Jer 17:11
1Ti 6:9
d Le 19:15
Spr 18:5
Jak 2:1
e 2Sa 12:7,9
Ga 2:11
f Ps 141:5
Spr 27:6
g Mr 7:10,11
h Spr 19:26
i 1Kn 3:11-13
j Spr 3:5
Jer 17:9
k Job 28:28
l De 15:7,10
Ps 41:1
Spr 19:17
Heb 13:16
m Est 8:17

HFST. 29
n Eks 11:10
2Kr 36:11-13

Tweede kol.
a 1Sa 2:22-25
2Kr 36:15,16
b Est 3:13,15
c Spr 27:11
d Spr 5:8-10
Spr 6:26
Lu 15:13,14
e 2Sa 8:15
Ps 89:14
Jes 9:7
f Spr 26:28
Ro 16:18
g Spr 5:22
h Ps 97:11
i Ps 41:1
j Jer 5:28
k Jak 3:6
l Han 19:29,35
m Spr 26:4
n Ge 27:41
1Sa 20:31
1Jo 3:11,12
o Spr 12:16
Spr 25:28
p Spr 14:29

- sal skielik tot 'n val kom en geen hoop op genesing hê nie.^a
- 2** Wanneer die regverdiges baie is, is die volk bly, maar wanneer 'n goddelose regeer, sug die volk.^b
- 3** 'n Man wat wysheid liefhet, maak sy pa bly,^c maar die een wat met prostitute assosieer, vermors sy rykdom.^d
- 4** Deur geregtigheid bring 'n koning stabiliteit in 'n land,^e maar 'n man wat omkoopgeskenke wil hê, verwoes dit.
- 5** 'n Man wat sy medemens vlei, lei hom in 'n strik.^f
- 6** 'n Slegte man se oortreding verstrik hom,^g maar die regverdige roep vreugdevol uit en is bly.^h
- 7** Die regverdige is besorg oor die regte van die armes,ⁱ maar die goddelose is glad nie besorg daaroor nie.^j
- 8** Grootpraters veroorsaak oproerigheid in 'n stad,^k maar die wyses laat woede bedaar.^l
- 9** Wanneer 'n wyse man 'n saak maak teen 'n dwaas, sal daar 'n geskree en 'n gespot wees, maar daar sal geen oplossing wees nie.^m
- 10** Bloeddorstige manne haat onskuldige* mense,ⁿ en hulle wil dié doodmaak wat reg lewe.^o
- 11** 'n Dwaas beheer nie sy woede nie,^o maar die wyse man bly kalm.^p

29:10 *Of "onberispelike". #Of moontlik "maar dié wat reg lewe, wil hulleself beskerm".

- 12** As 'n heerser hom aan leuens steur, sal al sy knegte goddeloos wees.^a
- 13** Die arm man en die onderdrukker het die volgende in gemeen:
Jehovah gee hulle albei lewe.*
- 14** Wanneer 'n koning die armes regverdig oordeel,^b sal sy troon nooit in gevaar wees nie.^c
- 15** Die lat* en teregwyding gee wysheid,^d maar 'n kind wat aan homself oorgelaat word, steek sy ma in die skande.
- 16** Hoe meer goddeloses daar is, hoe meer oortredings is daar, maar die regverdiges sal die ondergang van die goddeloses sien.^e
- 17** Dissiplineer jou seun, en jy sal rus hê, en hy sal vir jou* groot vreugde bring.^f
- 18** Sonder God se leiding* ruk die volk handuit,^g maar dié wat die wet gehoorsaam, is gelukkig.^h
- 19** Dit help nie om 'n kneg met woorde tereg te wys nie, want al verstaan hy, luiSTER hy nie.ⁱ
- 20** Het jy 'n man gesien wat praat sonder om te dink?*) Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom.^k
- 21** As 'n kneg van jongs af bederf word, sal hy later ondankbaar word.

29:13 *Lett. "verlig albei se oë".
29:15 *Of "Dissipline; Straf". **29:17** *Of "jou siel". **29:18** *Of "'n profetiese visioen; 'n openbaring". **29:20** *Of "wat haastig is met sy woorde".

HFST. 29

a 1Kn 21:8-11

Jer 38:4, 5

b Ps 72:1, 2

c Spr 20:28

Spr 25:5

Jes 9:7

d Spr 22:6

Spr 22:15

Spr 23:13

Ef 6:4

e Ps 37:34

Op 18:20

f Heb 12:11

g Ho 4:6

h Spr 19:16

Joh 13:17

Jak 1:25

i Spr 26:3

j Pr 5:2

Jak 1:19

k Spr 14:29

Spr 21:5

Tweede kol.

a Spr 15:18

b 1Sa 18:8, 9

Jak 3:16

c Est 6:6, 10

Jak 4:6

d Spr 18:12

Mt 18:4

Flp 2:8, 9

e Le 5:1

f Mt 10:28

Mt 26:75

g 2Kr 14:11

Spr 18:10

h Ps 62:12

Lu 18:6, 7

i Ps 119:115

Ps 139:21

j Joh 7:7

1Jo 3:13

HFST. 30

k Job 42:3

l Joh 3:13

- 22** 'n Man wat gou kwaad word, maak moeilikheid,^a en iemand wat geneig is om woedend te word, begaan baie oortredings.^b

23 Hoogmoed lei tot vernedering,^c maar die een wat nederig is, sal eer verkry.^d

24 Die handlanger van 'n dief haat homself.

Al hoor hy dat getuies geroep word,* sê hy niks.^e

25 Om vir mense bang te wees, is 'n strik,^f maar die een wat op Jehovah vertrou, sal beskerm word.^g

26 Baie wil hulle saak aan 'n heerser stel,* maar Jehovah sorg dat 'n mens geregtigheid kry.^h

27 'n Onregverdige man is vir die regverdiges afskuwelik,ⁱ

maar die een wat die regte weg volg, is vir die goddeloses afskuwelik.^j

30 Die woorde van Agur, die seun van Jake. Die belangrike boodskap wat hy aan I'tiël, aan I'tiël en Ugal, oorge-dra het.

2 Ek is dommer as enigiemand anders,^k

en ek het nie die insig wat 'n mens moet hê nie.

3 Ek het nie wysheid geleer nie,

en ek het nie die kennis van die Allerheiligste nie.

4 Wie het na die hemel opge-vaar en toe neergedaal?!

Wie het die wind in die palms van sy hande versamel?

29:24 *Of "'n eed wat met 'n vloek gepaardgaan". **29:26** *Of moontlik "die goedkeuring van 'n heerser verkry".

- Wie het die waters in sy kleed toegedraai?^a
 Wie het al die eindes van die aarde vasgestel?^b
 Wat is sy naam en die naam van sy seun – weet jy dalk?
- 5** Elke woord van God is suiwer.^c
 Hy is 'n skild vir dié wat beskerming by hom soek.^d
- 6** Moet niks by sy woorde voeg nie,^e
 anders sal hy jou tereg wys, en dit sal duidelik wees dat jy 'n leuenaar is.
- 7** Ek vra dat u hierdie twee dinge vir my doen solank as wat ek lewe:
- 8** Verwyder valsheid en leuens ver van my af.^f
 Moenie vir my rykdom of armoede gee nie.
 Gee my net die kos wat ek nodig het,^g
- 9** sodat ek nie te veel het en ontrou word aan u en sê: “Wie is Jehovah?” nie.^h
 Laat my ook nie arm word en steel en skande oor die naam van my God bring nie.
- 10** Moenie 'n kneg vals beskuldig* by sy meester nie, anders sal hy jou vervloek en jy sal skuldig bevind word.ⁱ
- 11** Daar is mense* wat hulle pa vervloek en wat hulle ma nie seën nie.^j
- 12** Daar is mense* wat rein is in hulle eie oë,^k maar hulle vuilheid# is nie van hulle afgewas nie.
- 13** Daar is mense* wat baie hoogmoedig is en wie se oë vol trots is!^l

30:10 *Of “belaster”. **30:11-14** *Lett. “n geslag”. **30:12** #Lett. “ontlasting”.

HFST. 30

a Jes 40:12

b Job 38:4

c Ps 12:6

d Ge 15:1
2Sa 22:31
Ps 84:11

e De 4:2
Op 22:18

f Spr 12:22

g Mt 6:11
1Ti 6:8

h De 6:10-12

i Da 6:24

j Le 20:9
Spr 19:26
Mr 7:10, 11

k Ps 36:1, 2
Jes 65:5
1Jo 1:8

l Ps 101:5
De 6:16, 17

Tweede kol.

a Ps 14:4
Spr 22:16
Jes 32:7

b Spr 27:20

c Spr 23:22

d Le 20:9
De 21:18, 21
Spr 20:20

- 14** Daar is mense* wie se tande swaarde is en wie se kakebene slagmesse is.
 Hulle verslind die hulpeloses van die aarde en die armes onder die mensdom.^a
- 15** Die bloedsuiers het twee dogters wat roep: “Gee! Gee!”
 Daar is drie dinge wat nie versadig raak nie, vier wat nooit sê: “Genoeg!” nie:
- 16** Die Graf*^b en 'n onvrugbare baarmoeder,
 'n land wat nie water kry nie en vuur wat nooit sê: “Genoeg!” nie.
- 17** Die oog van die een wat sy pa bespot en wat ongehoorsaam is aan sy ma,^c sal deur die kraaie van die valleï* uitgekik word en deur die jong arende opgeëet word.^d
- 18** Daar is drie dinge wat ek nie kan begryp nie en vier wat ek nie verstaan nie:
- 19** Hoe 'n arend in die lug vlieg, hoe 'n slang oor 'n rots seil, hoe 'n skip op die oop see seil en hoe 'n man hom by 'n jong vrou gedra.
- 20** 'n Vrou wat egbreuk pleeg, tree soos volg op:
 Sy eet, sy vee haar mond af, en dan sê sy: “Ek het niks verkeerds gedoen nie.”^e
- 21** Daar is drie dinge wat die aarde laat skud en vier dinge wat dit nie kan verdra nie:

30:16 *Of “Sjeool”. Sien Woordelys.
30:17 *Of “wadi”. Sien Woordelys.

- 22 Wanneer 'n slaaf as koning regeer,^a
wanneer 'n dwaas te veel
kos het om te eet,
- 23 wanneer 'n vrou wat gehaat
word,* as vrou geneem
word,
en wanneer 'n diensmeisie
die plek van haar meeste-
res inneem.^b
- 24 Daar is vier dinge op die
aarde wat klein is,
maar hulle is instinktief*
wys:^c
- 25 Miere is nie sterk nie,
en tog bêre hulle hulle kos
in die somer.^d
- 26 Klipdassies^e is nie magtig
nie,
en tog maak hulle hulle huis
in die kranse.^f
- 27 Sprinkane^g het geen koning
nie,
en tog beweeg hulle as 'n
georganiseerde groep.^h
- 28 Die geitjieⁱ klou met sy
pootjies van,
en hy gaan in die paleis van
'n koning in.
- 29 Daar is drie lewende dinge,
ja vier,
wat indrukwekkend lyk
wanneer hulle beweeg:
- 30 Die leeu, wat die magtigste
onder die diere is
en wat vir niemand
vlug nie,^j
- 31 die windhond, die bokram
en 'n koning wie se leërmag
by hom is.
- 32 As jy so dwaas was om jou-
self te verheerlik^k
of as jy beplan het om dit
te doen,
moet jy jou hand oor jou
mond sit.^l

30:23 *Of "wat nie geliefd is nie".

30:24 *Of "besonder".

HFST. 30

a Spr 19:10
Pr 10:7
Jes 3:4

b Ge 16:5

c Job 35:11

d Spr 6:6-8

e Le 11:5

f Ps 104:18

g Eks 10:14
Jl 1:4

h Jl 2:7

i Le 11:29, 30

j Nu 23:24
Jes 31:4

k Spr 26:12

l Spr 27:2

Tweede kol.

a Spr 26:21

HFST. 31

b Spr 1:8
2Ti 1:5

c 1Sa 1:11, 28

d Ho 4:11

e De 17:15, 17
1Kn 11:1-3
Ne 13:26

f Pr 10:17
Jes 28:7

g Ps 104:15
Mt 27:34

h Jer 16:7

i Ps 82:4

j De 1:16, 17
2Sa 8:15
Ps 72:1, 2
Jes 11:4

k Rut 3:10, 11
Spr 12:4
Spr 19:14

- 33 Want as jy melk karring,
kry jy botter,
as jy iemand op die neus
slaan, loop die bloed,
en as jy iemand kwaad
maak, lei dit tot stryery.^a

31 Die woorde van koning
Lem'uel, die belangrike
boodskap wat sy ma gegee het
om hom te onderrig:^b

- 2 Wat moet ek vir jou sê,
o my seun,
my seun wat ek in die
wêreld gebring het?
Ja, wat moet ek sê, o seun
van my geloftes?^c
- 3 Moenie jou krag op vrouens
vermors nie,^d
en moenie weë volg wat
konings vernietig nie.^e
- 4 Dit is nie gepas vir konings
nie, Lem'uel,
dit is nie gepas vir konings
om wyn te drink
of vir heersers om te vra:
"Waar is my drankie?" nie,^f
- 5 sodat hulle nie drink en
die wet vergeet
en die regte van die armes
vertrap nie.
- 6 Gee alkohol aan dié wat
naby die dood is^g
en wyn aan dié wat
bitterlik ly.^h
- 7 Laat hulle drink en hulle
armoede vergeet.
Laat hulle nie meer aan
hulle probleme dink nie.
- 8 Praat namens dié wat nie
self kan praat nie.
Verdedig die regte van
almal wat naby die
dood is.ⁱ
- 9 Praat, en oordeel regverdig.
Verdedig die regte van
die hulpeloses en die
armes.^j

Ⓝ [Alef]

- 10 Wie kan 'n goeie vrou
vind?^k

Sy is baie meer werd as korale.*

⌒ [Bet]

11 Haar man vertrou haar met sy hele hart, en hy kom niks kort nie.

⌒ [Gime]

12 Sy laat dit goed gaan met hom, nie sleg nie, al die dae van haar lewe.

⌒ [Dalet]

13 Sy kry wol en linne, en sy geniet dit om met haar hande te werk.^a

⌒ [He]

14 Sy is soos die skepe van 'n handelaar,^b sy bring haar kos van ver af in.

⌒ [Waw]

15 Sy staan op terwyl dit nog nag is en gee kos vir haar huisgesin en vir haar diensmeisies hulle deel.^c

⌒ [Zajin]

16 Nadat sy dit deeglik oorweeg het, koop sy 'n stuk grond, en sy plant 'n wingerd van wat sy verdien het.*

⌒ [Get]

17 Sy is gereed om hard te werk,^{*d} en sy span haar in.[#]

⌒ [Te]

18 Sy sien dat sy wins maak, en haar lamp gaan nie uit in die nag nie.

* [Jod]

19 Sy werk met die spinstok, en haar hande is besig met die spinwiel.^e

HFST. 31

a 1Sa 2:18, 19
Tit 2:3-5

b 2Kr 9:21

c 1Ti 5:9, 10

d Ge 24:15, 20

e Eks 35:25

Tweede kol.

a 1Sa 25:18
Spr 19:17
1Ti 2:10
Heb 13:16

b Rut 4:1
Job 29:7, 8

c Rig 13:22, 23
1Sa 25:30, 31
Est 5:8
Tit 2:3

d Spr 14:1
1Ti 5:9, 10
Tit 2:3-5

⌒ [Kaf]

20 Sy steek haar handpalm uit na die hulpeloses, en sy maak haar hand oop vir die armes.^a

⌒ [Lamed]

21 Sy is nie bekommerd oor haar huisgesin as dit sneeu nie, want haar hele huisgesin het warm* klere.

⌒ [Mem]

22 Sy maak haar eie beddegoed. Haar klere is van linne en pers wol gemaak.

⌒ [Noen]

23 Haar man is bekend in die stadspoorte,^b waar hy saam met die ouermanne van die land sit.

⌒ [Samek]

24 Sy maak en verkoop linneklere, en voorsien belde aan die handelaars.

⌒ [Ajin]

25 Sy het* innerlike krag en waardigheid, en sy is vol vertroue oor die toekoms.

⌒ [Pe]

26 Sy praat met wysheid,^c en sy onderrig ander met liefde.*

⌒ [Tsade]

27 Sy hou toesig oor haar huishouding, en sy is glad nie lui nie.^{*d}

⌒ [Kof]

28 Haar kinders staan op en noem haar gelukkig. Haar man staan op en prys haar.

31:21 *Lett. "dubbele". 31:25 *Of "is beklee met". 31:26 *Lett. "die wet van lojale liefde is op haar tong". 31:27 *Lett. "sy eet nie die brood van luiheid nie".

31:10 *Sien Woordelys. 31:16 *Lett. "van die vrug van haar hande". 31:17 *Lett. "omgord haar heupe met krag". #Lett. "versterk haar arms".

⌈ [Resj]

29 Daar is baie goeie vrouens,
maar jy – jy oortref hulle
almal.

⌋ [Sjin]

30 Sjarne kan misleidend
wees, en 'n mooi voor-
koms hou nie vir altyd
nie,^a

HFST. 31

a 2Kn 9:30
Est 1:10-12
Spr 6:25, 26

Tweede kol.

a Ge 24:60
Rig 5:7
1Pe 3:3, 4
b Rut 3:10, 11
c Ro 16:1, 2

maar die vrou wat Jehovah
vrees, sal geprys word.^a

⌈ [Taw]

31 Beloon haar vir wat sy
doen,^{*b}
en laat haar werke haar in
die stadspoorte prys.^c

31:31 * Lett. "Gee haar van die vrug van
haar hande".

PREDIKER

O O R S I G

- 1 Alles is nutteloos (1-11)
Aarde bestaan vir ewig (4)
Kringlope in natuur (5-7)
Niks nuuts onder son (9)
Mens se wysheid beperk (12-18)
Gejaag na wind (14)
- 2 Salomo se projekte (1-11)
Mens se wysheid van min
waarde (12-16)
Nutteloosheid van harde werk (17-23)
Eet, drink en geniet werk (24-26)
- 3 'n Tyd vir alles (1-8)
Om lewe te geniet, is gawe van
God (9-15)
Ewigheid in mens se hart (11)
God oordeel almal met
geregtigheid (16, 17)
Mense sowel as diere sterf
uiteindelik (18-22)
Almal keer na stof terug (20)
- 4 Onderdrukking erger as dood (1-3)
Gebalanseerde beskouing van
werk (4-6)
Waarde van vriend (7-12)
Twee is beter as een (9)
Heerser se lewe kan nutteloos
wees (13-16)
- 5 Nader God met gepaste vrees (1-7)
Hoë amptenare dopgehou deur dié
wat hoër is (8, 9)
Nutteloosheid van rykdom (10-20)

- Dié wat geld liefhet, nooit tevrede
nie (10)
Werker se slaap is soet (12)
- 6 Besittings, maar dit word nie geniet
nie (1-6)
Geniet wat jy nou het (7-12)
- 7 Goeie naam en sterfdag (1-4)
Wyse man se teregwysing (5-7)
Uiteinde beter as begin (8-10)
Voordeel van wysheid (11, 12)
Goeie dae en slegte dae (13-15)
Vermy uiterstes (16-22)
Opmerkings van byeenbringer (23-29)
- 8 Onvolmaakte heerskappy van
mense (1-17)
Gehoorzaam koning se bevele (2-4)
Mens heers oor mens tot sy
nadeel (9)
Wanneer mense nie gou gestraf
word nie (11)
Eet, drink en wees vreugdevol (15)
- 9 Dieselfde uiteinde vir almal (1-3)
Geniet lewe voordat jy sterf (4-12)
Dooies weet niks (5)
Geen bedrywighede in Graf nie (10)
Tyd en onverwagse gebeure (11)
Wysheid nie altyd waardeer nie (13-18)
- 10 Bietjie dwaasheid bederf wysheid (1)
Gevare van onbekwaamheid (2-11)
Treurige toestand van dwase (12-15)
Dwaasheid onder heersers (16-20)
Voël kan oorvertel wat gesê is (20)

- 11 Gryp geleentheid aan (1-8)
 Stuur brood uit op die water (1)
 Saai saad van oggend tot aand (6)
 Geniet jeug, maar wees
 verstandig (9, 10)

- 12 Dink aan Skepper voordat jy oud
 word (1-8)
 Byeenbringer se slotsom (9-14)
 Wyse woorde soos osprikkels (11)
 Vrees ware God (13)

1 Die woorde van die byeenbringer,*^a die seun van Dawid, die koning in Jerusalem.^b

2 “Dit is heeltemal nutteloos!”*^c sê die byeenbringer.

“Dit is heeltemal nutteloos!
 Alles is nutteloos!”^c

3 Watter voordeel kry 'n mens uit al sy harde werk, uit alles waaraan hy hard werk op hierdie aarde?^d

4 'n Geslag gaan, en 'n geslag kom, maar die aarde bestaan vir ewig.^e

5 Die son kom op, en die son gaan onder, en dan keer dit vinnig terug na die plek waar dit weer opkom.^f

6 Die wind waai na die suide en draai weer na die noorde.

Dit waai hierdie kant toe en daardie kant toe; die wind sirkel om en om.

7 Al die riviere* loop in die see in, en tog word die see nie vol nie.^g

Die riviere keer terug na waar hulle vandaan kom, sodat hulle weer kan vloei.^h

8 Alles maak 'n mens moeg. Niemand kan dit beskryf nie.

1:1 *Of “sameroeper”. 1:2 *Of “Die grootste nietigheid”. 1:7 *Of “winterstrome; seisoenale strome”.

HFST. 1

a 1Kn 8:1, 22

b 1Kn 2:12
 2Kr 9:30

c Ps 39:5
 Ro 8:20

d Pr 2:11
 Mt 16:26
 Joh 6:27

e Ps 78:69
 Ps 104:5
 Ps 119:90

f Ge 8:22
 Ps 19:6

g Job 38:8, 10

h Job 36:27, 28
 Jes 55:10
 Am 5:8

Tweede kol.

a Ge 8:22
 Pr 1:4

b Pr 2:16
 Pr 9:5
 Jes 40:6

c 1Kn 11:42
 Pr 1:1

d 1Kn 4:29, 30

e Pr 8:16

f Ps 39:5, 6
 Pr 2:11, 18
 Pr 2:26
 Lu 12:15

Die oog kry nie genoeg van sien nie, en ook nie die oor van hoor nie.

9 Wat was, sal weer wees, en wat gedoen is, sal weer gedoen word.

Daar is niks nuuts onder die son nie.^a

10 Is daar enigiets waarvan 'n mens kan sê: “Kyk hier – dit is nuut”?

Dit het lankal reeds bestaan.

Dit het voor ons tyd al bestaan.

11 Niemand onthou mense wat lank gelede geleef het nie, en niemand sal dié onthou wat later kom nie.

En ook hulle sal nie onthou word deur dié wat nog later kom nie.^b

12 Ek, die byeenbringer, is koning oor Israel in Jerusalem.^c

13 Ek het besluit* om wysheid te gebruik^d om alles te bestuur en te ondersoek wat onder die hemel gedoen is^e – die frustrerende bedrywighede wat God aan die mensekinders gegee het en wat hulle besig hou.

14 Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen is, en ek het gesien dat alles nutteloos is, 'n gejaag na wind.^f

1:13 *Lett. “my hart daarop gerig”.

15 Wat krom is, kan nie reguit gemaak word nie, en wat nie daar is nie, kan glad nie getel word nie.

16 Toe het ek in my hart gesê: “Kyk! Ek het groot wysheid verkry, meer as enigiemand wat voor my in Jerusalem was.^a Ek* het baie wysheid en kennis verkry.”^b **17** Ek het my daarop toegelê om te verstaan wat wysheid is, wat malligheid*^c is en wat dwaasheid is. Dit is ook ’n gejaag na wind.

18 Want baie wysheid bring baie frustrasie. En die een wat kennis vermeerder, vermeerder pyn.^d

2 Toe het ek in my hart gesê: “Laat ek plesier soek en kyk of dit iets goeds inhou.” Maar dit was ook nutteloos.

2 Ek het oor gelag gesê: “Dit is dwaasheid!” en oor plesier: “Watter nut het dit?”

3 Ek het ondersoek of dit iets goeds inhou om wyn te geniet,^e terwyl ek my nog steeds deur wysheid laat lei het. Ek het selfs dwaasheid op die proef gestel om uit te vind wat die beste ding is vir mense om te doen gedurende die kort tydjie wat hulle op die aarde lewe. **4** Ek het groot dinge aangepak.^f Ek het vir my huise gebou^g en vir my wingerde geplant.^h **5** Ek het vir my tuine en parke gemaak, en ek het allerhande vrugtebome daarin geplant. **6** Ek het vir my damme gemaak sodat ek die jong bome in my plantasie* kon natlei. **7** Ek het diensknegte en diensmeisies gekry.ⁱ En hulle kinders wat in my huis gebore is, het ook my knegte geword. Ek het ook baie vee ge-

1:16 *Lett. “My hart”. 1:17 *Of “uiterste dwaasheid”. 2:6 *Of “bos”.

HFST. 1

- a Pr 2:9
- b 1Kn 3:28
1Kn 4:29-31
2Kr 1:10-12
- c Pr 2:2, 3
Pr 2:12
Pr 7:25
- d Pr 2:15
Pr 12:12

HFST. 2

- e Ps 104:15
Pr 10:19
- f 1Kn 9:17-19
2Kr 9:15, 16
- g 1Kn 7:1, 8
- h 1Kn 4:25
Hgl 8:11
- i 1Sa 8:10, 13
1Kn 9:22

Tweede kol.

- a 1Kn 4:22, 23
- b 1Kn 9:14, 28
1Kn 10:10
2Kr 1:15
- c 1Kn 10:14, 15
2Kr 9:13, 14
- d 1Kn 3:13
1Kn 10:23
- e Pr 11:9
- f Pr 3:22
Pr 5:18
Pr 9:9
- g 1Kn 7:1
- h Ps 49:10
Pr 1:14
Pr 2:16
1Ti 6:7
- i Pr 1:3
Pr 2:17
- j Pr 1:17
Pr 7:25
- k Spr 4:7
Pr 7:11, 12
- l Spr 4:25
- m Spr 14:8
Spr 17:24
Joh 3:19
1Jo 2:11
- n Pr 3:19, 20
Pr 9:2, 3
Pr 9:11
- o Ps 49:10
- p Eks 1:8
Pr 1:11
- q Pr 6:8
Ro 5:12

– kry – beeste, skape en bokke^a – meer as enigiemand wat voor my in Jerusalem gelewe het. **8** Ek het silwer en goud by mekaargemaak,^b die skatte van* konings en van provinsies.^c Ek het vir my sangers en sangeresse gekry, sowel as dit wat die mens baie plesier gee – ’n vrou, ja, baie vrouens. **9** Ek het magtig geword en almal oortref wat voor my in Jerusalem was.^d En ek het my wysheid behou.

10 Alles wat ek begeer het, het ek vir my gekry.^e Ek het my nie teruggehou van enige plesier nie, want ek het vreugde gevind in al my harde werk, en dit was my beloning vir al my harde werk.^f **11** Maar toe ek nagedink het oor alles wat ek gedoen het en oor al my harde werk,^g het ek gesien dat alles nutteloos was, ’n gejaag na wind.^h Daar was niks onder die son wat werklik waarde gehad het nie.ⁱ

12 Toe het ek weer nagedink oor wysheid en malligheid en dwaasheid.^j (Want wat kan die mens doen wat ná die koning kom? Net wat reeds gedoen is.) **13** En ek het gesien dat wysheid beter is as dwaasheid,^k net soos die lig beter is as die duisternis.

14 Die wyse se oë is oop,^l maar die dwaas is in die duisternis.^m Ek het ook besef dat hulle albei dieselfde uiteinde het.ⁿ

15 Toe het ek in my hart gesê: “Wat met die dwaas gebeur, sal ook met my gebeur.”^o Wat help dit dan dat ek baie wys geword het? Toe het ek in my hart gesê: “Dit is ook nutteloos.” **16** Want ’n wyse mens sal net so min ont hou word as ’n dwaas.^p In die dae wat kom, sal almal vergeet word. En hoe sal die wyse sterf? Net soos die dwaas.^q

2:8 *Of “eiendom soos dié van”.

17 Ek het dus die lewe begin haat,^a want dit het vir my gelyk of alles wat onder die son gedoen word, frustrerend is. Alles was nutteloos,^b 'n gejaag na wind.^c 18 Ek het alles begin haat waarvoor ek so hard op die aarde gewerk het,^d want ek moet dit agterlaat vir die mens wat ná my kom.^e 19 En wie weet of hy wys of dwaas sal wees? Tog sal hy beheer oorneem oor al die dinge wat ek met groot moeite en wysheid onder die son verkry het. Dit is ook nutteloos. 20 Daarom het ek moedeloos begin voel toe ek dink aan al die harde werk wat ek op hierdie aarde gedoen het. 21 Want 'n mens werk hard en word gelei deur wysheid en kennis en vaardigheid, maar hy moet alles* oorgee aan iemand wat nie daarvoor gewerk het nie.^g Dit is ook nutteloos en baie tragies.

22 Wat kry 'n mens werklik vir al sy harde werk en sy ambisie wat hom dryf om hard te werk op hierdie aarde?^h

23 Want sy hele lewe lank bring sy bedrywighe pyn en frustrasie,ⁱ en selfs in die nag kom sy hart nie tot rus nie.^j Dit is ook nutteloos.

24 Daar is niks beters vir 'n mens as om te eet en te drink en sy harde werk te geniet nie.^k Ek het besef dat dit ook van die ware God kom,^l 25 want wie eet en wie drink beter as ek?^m

26 Die ware God gee wysheid en kennis en vreugde aan die mens wat Sy goedkeuring het,ⁿ maar aan die sondaar gee hy die werk om te versamel en bymekaar te maak net sodat hy dit kan gee aan die een wat Sy goedkeuring het.^o Dit is ook nutteloos, 'n gejaag na wind.

2:21 *Of "sy deel".

HFST. 2

a 1Kn 19:2, 4
Jer 20:17, 18

b Job 7:6
Pr 2:21
Ro 8:20

c Pr 1:14
Pr 5:16

d Pr 2:4-8

e Ps 39:6
Lu 12:20

f 1Kn 12:6, 8
2Kr 12:1, 9

g Pr 2:18
Pr 5:15, 16

h Pr 1:3
Pr 3:9

i Job 14:1, 2
Lu 12:29

j Ge 31:40, 41

k De 12:18
Pr 3:22
Pr 8:15
Han 14:17

l Pr 3:12, 13
Pr 5:18, 19

m 1Kn 4:7
1Kn 4:22, 23
1Kn 10:4, 5
1Kn 10:21

n 1Sa 18:14
Spr 3:32, 33
Jes 3:10

o De 6:10, 11
Spr 13:22
Spr 28:8

Tweede kol.

HFST. 3

a 2Sa 3:31

b Ps 39:1

c 1Sa 19:4
1Sa 25:23, 24
Est 4:13, 14
Ps 145:11
Spr 9:8

d Ps 139:21
Ro 12:9

e Pr 1:3
Pr 5:15, 16

f Ge 1:31
Ro 1:20

3 Daar is vir alles 'n vasgestelde tyd,

'n tyd vir elke bedrywigheid onder die hemel:

2 'n Tyd om gebore te word* en 'n tyd om te sterf,

'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te trek wat geplant is,

3 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou,

4 'n tyd om te huil en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur en 'n tyd om te dans,*

5 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels en 'n tyd om nie te omhels nie,

6 'n tyd om te soek en 'n tyd om as verlore te beskou, 'n tyd om te hou en 'n tyd om weg te gooi,

7 'n tyd om uitmekaar te skeur^a en 'n tyd om vas te werk,

'n tyd om stil te bly^b en 'n tyd om te praat,^c

8 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat,^d 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede.

9 Wat help dit die werker dat hy hard gewerk het?^e 10 Ek het die bedrywighe gesien wat God aan die mensekinders gegee het om hulle besig te hou. 11 Hy het alles mooi* gemaak op die regte tyd.^f Hy het selfs die ewigheid in hulle hart gesit. Tog sal die mensdom nooit die werke van die ware God ten volle verstaan nie.

12 Ek het tot die slotsom gekom dat daar vir hulle niks

3:2 *Of "vir geboorte". 3:4 *Lett. "rond te huppel". 3:11 *Of "ordelik; gepas".

beters is as om bly te wees en om goed te doen in hulle lewe nie,^a **13** en ook dat elkeen moet eet en drink en al sy harde werk moet geniet. Dit is die gawe van God.^b

14 Ek het besef dat alles wat die ware God maak, vir ewig sal bestaan. Niks kan daarby gevoeg word en niks kan daarvan weggeneem word nie. Die ware God het dit so gemaak, sodat mense hom sal vrees.^c

15 Wat ook al gebeur, het reeds gebeur, en wat nog kom, was reeds daar,^d maar die ware God soek wat nagejaag is.*

16 Ek het ook die volgende onder die son gesien: In die plek van geregtigheid was daar goddeloosheid, en in die plek van regverdigheid was daar goddeloosheid.^e **17** Toe het ek in my hart gesê: “Die ware God sal die regverdige sowel as die goddelose oordeel,^f want daar is ’n tyd vir elke bedrywigheid en elke daad.”

18 Ek het ook in my hart gesê dat die ware God die menskinders sal toets en hulle sal laat besef dat hulle net soos die diere is, **19** want daar is ’n uiteinde vir die mens en ’n uiteinde vir die diere. Hulle almal het dieselfde uiteinde.^g Soos die een sterf, so sterf die ander; en hulle almal het dieselfde gees.^h Die mens is dus nie beter af as die diere nie. Alles is nutteloos. **20** Almal gaan na dieselfde plek.ⁱ Hulle kom almal uit die stof,^j en hulle keer almal na die stof terug.^k **21** Wie weet werklik of die gees van die mens opstyg boontoe en of die gees van die diere na die aarde neerdaal?^l **22** En ek het gesien dat daar niks beters is vir ’n mens as om sy werk te geniet nie,^m want dit

3:15 *Of moontlik “wat verbygegaan het”.

HFST. 3

- a Ps 37:3
1Te 5:15
- b Pr 5:18, 19
Jes 65:21, 22
- c Jer 10:7
Op 15:4
- d Pr 1:9
- e Ps 82:2
Ps 94:16, 21
- f Pr 12:14
Han 17:31
Ro 2:5, 6
- g Job 14:10
Ps 39:5
Ps 89:48
- h Ge 7:22
Ps 104:29
Pr 12:7
- i Pr 9:10
- j Ge 2:7, 19
- k Ge 3:19
Job 10:9
- l Ps 146:3, 4
Pr 3:19
Pr 9:10
- m De 12:7
Pr 5:18

Tweede kol.

- a Job 14:21
Pr 6:12

HFST. 4

- b Ps 69:20
Ps 142:4
- c Job 3:17
Pr 2:17
- d Jer 20:18
- e Pr 1:14
- f Ga 5:26
- g Spr 6:10, 11
Spr 20:4
- h Ps 37:16
Spr 15:16
Spr 16:8
Spr 17:1
- i Spr 27:20
Pr 5:10
- j Ps 39:6
Lu 12:18-20
- k Pr 2:22, 23
- l Ge 2:18
Spr 27:17

is sy beloning. En wie kan hom laat sien wat ná sy dood sal gebeur?^a

4 Ek het weer nagedink oor al die onderdrukking wat onder die son plaasvind. Ek het die trane van die onderdruktes gesien, en daar was niemand om hulle te vertroos nie.^b Hulle onderdrukkers het die mag gehad, en daar was niemand om hulle te vertroos nie. **2** En ek het besef dat dié wat reeds gesterf het, beter af is as dié wat nog lewe.^c **3** En die een wat nog nie gebore is nie,^d wat nog nie die slegte daade gesien het wat onder die son gedoen word nie, is beter af as hulle albei.^e

4 En ek het gesien met hoeveel inspanning en vaardigheid mense werk as hulle met mekaar kompeteer.^f Dit is ook nutteloos, ’n gejaag na wind.

5 Die dwaas vou sy hande en gaan dood van die honger.^g

6 ’n Hand vol rus is beter as twee hande vol harde werk en ’n gejaag na wind.^h

7 Ek het nagedink oor nog iets onder die son wat nutteloos is: **8** Daar is ’n man wat heeltemal alleen is, sonder ’n vriend. Hy het nie ’n seun of ’n broer nie, maar hy hou net aan om hard te werk. Hy kry nooit genoeg van rykdom nie.ⁱ Maar vra hy hom ooit af: “Vir wie werk ek hard? Hoekom geniet ek nie maar die goeie dinge waarvoor ek werk nie?”^j Dit is ook nutteloos en frustrerend.^k

9 Twee is beter as een,^l want hulle het ’n goeie beloning vir hulle harde werk. **10** Want as een van hulle val, kan die ander sy maat ophelp. Maar wat sal gebeur met die een wat val as hy niemand het om hom op te help nie?

11 En as twee bymekaar lê, sal hulle warm bly, maar hoe

kan net een warm bly? **12** En iemand kan maklik die oorhand kry oor 'n persoon wat alleen is, maar twee saam kan teen hom staande bly. En 'n driedubbele tou kan nie maklik gebreek word nie.

13 'n Arm maar wyse kind is beter as 'n ou maar dwase koning,^a wat nie meer genoeg verstand het om na 'n waarskuwing te luister nie.^b **14** Want hy* het uit die gevangenis uitgegaan om koning te word,^c hoewel hy arm gebore is onder die koningskap van daardie een.^d **15** Ek het gesien wat met al die lewendes onder die son gebeur, sowel as hoe dit gaan met die jong opvolger wat die koning se plek inneem. **16** Hoewel hy baie ondersteuners het, sal dié wat later kom, nie tevrede wees met hom nie.^e Dit is ook nutteloos, 'n gejaag na wind.

5 Let op wat jy doen wanneer jy na die huis van die ware God gaan.^f Dit is beter om te gaan om te luister^g as om 'n offer te gee soos die dwase,^h want hulle weet nie dat wat hulle doen, sleg is nie.

2 Moenie vinnig wees met jou woorde nie, en laat jou hart nie oorhaastig praat voor die ware God nie,ⁱ want die ware God is in die hemel, maar jy is op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.^j **3** Want drome kom as te veel dinge jou gedagtes besig hou,^{*k} en die gebabbel van 'n dwaas kom weens te veel woorde.^l **4** Wanneer jy 'n gelofte aan God maak, moet jy nie uitstel om dit na te kom nie,^m want hy hou nie van dwase mense nie.ⁿ As jy 'n gelofte maak, moet jy dit nakom.^o **5** Dit is beter dat jy nie 'n gelofte maak nie as dat jy 'n gelof-

4:14 *Verwys moontlik na die wyse kind. 5:3 *Of "weens te veel sorge".

HFST. 4

- a Spr 19:1
Spr 28:6, 16
b 1Kn 22:8
2Kr 25:15, 16
c Ge 41:14, 40
d 2Sa 7:8
Job 5:11
e 2Sa 20:1

HFST. 5

- f Ps 15:1, 2
g De 31:12
Han 17:11
h 1Sa 13:12, 13
1Sa 15:22
Spr 21:27
Jes 1:13
Ho 6:6
i Nu 30:2
1Sa 14:24
j Spr 10:19
k Mt 6:25, 34
Lu 12:18-20
l Spr 10:19
Spr 15:2
m De 23:21
Ps 76:11
Mt 5:33
n Pr 10:12
o Nu 30:2
Ps 66:13

Tweede kol.

- a De 23:22
Spr 20:25
b Rig 11:35
c Le 5:4
d Ps 127:1
Hag 1:11
e Pr 5:3
f Pr 12:13
g Pr 3:16
h 1Sa 8:11, 12
1Kn 4:7
2Kr 26:9, 10
Hgl 8:11
i Pr 4:8
j Mt 6:24
Lu 12:15
1Ti 6:10
k 1Kn 4:22, 23
l Spr 23:4, 5
1Jo 2:16
m Spr 23:4, 5
Mt 6:19

te maak en dit nie nakom nie.^a

6 Moenie toelaat dat jou mond jou* laat sondig nie,^b en moenie voor die engel^c sê dat dit 'n fout was nie.^c Waarom moet jy die ware God kwaad maak oor wat jy sê sodat hy die werk van jou hande moet vernietig?^d **7** Want drome kom as baie dinge jou gedagtes besig hou,^e en net so lei baie woorde tot nutteloosheid. Maar vrees die ware God.^f

8 As jy sien dat die arme onderdruk word en dat daar nie reg en regverdigheid in jou gebied is nie, moet jy nie verbaas wees nie.^g Daardie hoë amptenaar word dopgehou deur iemand wat hoër as hy is, en daar is ander wat selfs hoër as hulle is.

9 En wat die land oplewer, word onder hulle almal verdeel. Selfs die koning is afhanklik van die grond.^h

10 Iemand wat silwer liefhet, sal nooit genoeg kry van silwer nie, ook nie iemand wat rykdom liefhet, van inkomste nie.ⁱ Dit is ook nutteloos.^j

11 Hoe meer goeie dinge daar is, hoe meer mense is daar om dit te gebruik.^k En watter voordeel is daar vir die eienaar daarvan? Hy kan maar net daarna kyk.^l

12 Soet is die slaap van die een wat dien, of hy nou min of baie eet, maar die rykdom van die ryke laat hom nie toe om te slaap nie.

13 Ek het iets baie tragies onder die son gesien: iemand wat rykdom opgaan tot sy eie nadeel. **14** Hy verloor sy rykdom weens 'n slegte transaksie, en wanneer hy die pa word van 'n seun, het hy niks oor nie.^m

5:6 *Lett. "jou vlees". ^aOf "boodskapper".

15 Net soos iemand kaal in die wêreld kom, gaan hy kaal uit die wêreld uit.^a En hy kan niks waarvoor hy hard gewerk het, saamneem nie.^b

16 Dit is ook baie tragies: Net soos hy gekom het, so sal hy weggaan. Watter voordeel is daar dan vir die een wat hard bly werk vir wind?^c 17 En hy eet elke dag asof hy in die duisternis eet, met baie frustrasie en siekte en woede.^d

18 Ek het gesien dat die volgende goed en gepas is: dat iemand eet en drink en al sy harde werk op hierdie aarde geniet^e gedurende die kort tydjie wat die ware God hom gegee het om te lewe, want dit is sy beloning.^f

19 En as die ware God vir 'n mens rykdom en materiële besittings gee^g en hom in staat stel om dit te geniet, dan moet hy sy beloning aanvaar en vreugde vind in sy harde werk. Dit is die gawe van God.^h 20 Want hy sal skaars nadink oor wat in sy lewe gebeur,* omdat die ware God hom besig hou met die dinge wat sy hart bly maak.ⁱ

6 Ek het nog iets onder die son gesien wat tragies is, en dit kom dikwels onder die mensdom voor: 2 Die ware God gee vir 'n man rykdom en materiële besittings en eer sodat hy alles het wat hy begeer, en tog stel die ware God hom nie in staat om dit te geniet nie. 'n Vreemdeling geniet dit dalk. Dit is nuttelos en 'n groot tragedie. 3 As 'n man 'n honderd keer pa word en hy baie jare lewe en oud word, maar nie sy goeie dinge geniet voordat hy sterf nie, dan sê ek: 'n Doodgebore baba is beter af as hy.^j 4 Want so 'n baba het tevergeefs gekom en in die duisternis verdwyn, en sy

5:20 *Of "aan sy lewensdae dink".

HFST. 5

a Job 1:21

b Ps 49:17
Lu 12:20
1Ti 6:7

c Mt 16:26
Joh 6:27

d 1Ti 6:10

e 1Kn 4:20

f Pr 2:24
Pr 3:22
Jes 65:21, 22

g 1Kn 3:12, 13
Job 42:12

h De 8:10
Pr 3:12, 13
1Ti 6:17
Jak 1:17

i De 28:8
Ps 4:7

HFST. 6

j Pr 4:2, 3

Tweede kol.

a Job 3:11, 13
Job 14:1

b Job 30:23
Pr 3:20
Ro 5:12

c Ge 3:19
Spr 16:26

d Ps 49:10
Pr 2:15, 16

e 1Kr 29:15
Job 8:9
Job 14:1, 2
Ps 102:11

HFST. 7

f Spr 10:7
Spr 22:1
Jes 56:5
Lu 10:20

g Jes 5:11, 12

h Ps 119:71
Lu 6:21

i 2Kor 7:10
Heb 12:11

naam is met duisternis bedek. 5 Al het hy nooit die son gesien en niks geweet nie, is hy nog steeds beter af as daardie man.^a 6 Wat help dit om 'n duisend jaar, ja, selfs tweeduisend jaar, te lewe en niks te geniet nie? Gaan almal nie na dieselfde plek nie?^b

7 'n Mens werk hard net om sy maag te vul,^c maar hy word nooit versadig nie. 8 Want watter voordeel het die wyse bo die dwaas?^d Of wat help dit as 'n arm man weet hoe om te oorleef? 9 Dit is beter om te geniet wat jou oë kan sien as om agter jou begeertes aan te loop. Dit is ook nutteloos, 'n gejaag na wind.

10 Alles wat bestaan, het reeds 'n naam gekry. En dit is bekend wat die mens is. Hy kan nie stry met* die een wat magtiger is as hy nie. 11 Hoe meer woorde,* hoe nutteloos is dit. En watter voordeel hou dit vir die mens in? 12 Wie weet wat die beste ding is vir 'n mens om te doen gedurende sy kort* lewe, wat soos 'n skaduwee verbygaan?^e Want wie kan vir hom sê wat ná sy dood onder die son sal gebeur?

7 'n Goeie naam* is beter as goeie olie,^f en die sterfdag is beter as die geboortedag. 2 Dit is beter om na 'n huis te gaan waar daar getreur word as na 'n huis waar daar feesgevier word,^g want dit is die uiteinde van elke mens, en die lewendes moet dit in gedagte hou. 3 Hartseer is beter as gelag,^h want 'n droewige gesig laat die hart beter word.ⁱ 4 Die hart van die wyses is in die huis waar daar getreur word, maar

6:10 *Of "sy saak bepleit by". 6:11 *Of moontlik "dinge". 6:12 *Of "nuttelose". 7:1 *Of "'n Goeie reputasie". Lett. "'n Naam".

die hart van die dwase is in die huis van blydskap.*^a

5 Dit is beter om na die teregwyding van 'n wyse man te luister^b as om na die lied van dwase mense te luister. **6** Want soos die geluid van doringtakkies wat onder die pot brand, so is die gelag van die dwaas,^c en dit is ook nutteloos. **7** Maar onderdrukking kan 'n wyse persoon dwaas laat optree, en 'n omkoopgeskenk laat die hart sleg word.^d

8 Die uiteinde van 'n saak is beter as sy begin. Dit is beter om geduldig te wees as om hoogmoedig te wees.^e **9** Moenie gou aanstoot neem nie,^f want dit is 'n dwaas wat aanstoot neem.*^g

10 Moenie vra: "Hoekom was die vroeëre dae beter as hierdie dae?" nie, want dit is nie uit wysheid dat jy dit vra nie.^h

11 Wysheid met 'n erfdeel daarby is goed en is voordelig vir dié wat op die aarde lewe.* **12** Want wysheid is 'n beskerming' net soos geld 'n beskerming is,ⁱ maar die voordeel van kennis is: Wysheid bewaar die lewe van dié wat dit besit.^k

13 Kyk na die werk van die ware God, want wie kan reguit maak wat hy krom gemaak het?

14 Op 'n goeie dag, moet jy goedheid weerspieël,^m maar op 'n dag van rampspoed moet jy daaraan dink dat God albei gemaak het,ⁿ sodat mense nie kan weet* wat in die toekoms met hulle sal gebeur nie.^o

15 Gedurende my kort* lewe^p het ek alles gesien – van die regverdige wat ten spyte van sy regverdigheid sterf^q tot die goddelose wat ten spyte van sy slegtheid lank lewe.^r

7:4 *Of "plesier". 7:9 *Of moontlik "om aanstoot te neem, is kenmerkend van 'n dwaas". 7:11 *Lett. "dié wat die son sien". 7:14 *Of "uitvind". 7:15 *Of "nuttelose".

HFST. 7

- a 1Sa 25:36
Spr 21:17
b Ps 141:5
Spr 15:31
c Pr 2:2
d Eks 23:8
De 16:19
1Sa 8:1-3
Spr 17:23
e Spr 13:10
Jak 5:10
1Pe 5:5
f Spr 16:32
Jak 1:19
g Ge 4:5
Est 5:9
Spr 14:17, 29
Spr 29:11
h Lu 9:62
i Spr 4:5, 6
j Spr 10:15
k Spr 3:13, 18
Spr 8:35
Spr 9:11
l Job 9:12
Jes 14:27
m Jak 5:13
n Job 2:10
Jes 45:7
o Spr 27:1
Pr 9:11
Jak 4:13, 14
p Ps 39:5
q Ge 4:8
1Sa 22:18
r Job 21:7
Ps 73:12

Tweede kol.

- a Jes 65:5
Mt 6:1
Ro 10:3
Ro 14:10
b Spr 3:7
Ro 12:3
c Spr 16:18
d Ps 14:1
Spr 14:9
e Ps 55:23
Spr 10:27
f Flp 4:5
g Spr 21:22
Spr 24:5
h 2Kr 6:36
Ps 51:5
Ro 3:23
1Jo 1:8
i 1Sa 24:9
j Jak 3:2, 8, 9
k Ps 36:6
Ps 139:6
Jes 55:9
Ro 11:33
l Pr 1:17
Pr 2:12
m Ge 39:7-9
n Spr 5:3, 14
Spr 7:22, 23
Spr 22:14
o Pr 1:1

16 Moenie alte regverdig wees nie,^a en moenie maak of jy baie wys is nie.^b Waarom moet jy rampspoed oor jouself bring?^c **17** Moenie alte goddeloos wees nie, en moet ook nie dwaas wees nie.^d Waarom moet jy voor jou tyd sterf?^e **18** Dit is beter om na die een waarskuwing te luister sonder om die ander een te ignoreer,^f want die een wat God vrees, sal na albei luister.

19 Wysheid maak 'n wyse man magtiger as tien sterk manne in 'n stad.^g **20** Want daar is geen regverdige mens op die aarde wat altyd doen wat goed is en nooit sondig nie.^h

21 Moet jou ook nie steur aan elke woord wat mense sê nie,ⁱ anders hoor jy dalk hoe jou kneg jou vervloek. **22** Want in jou hart weet jy goed dat jy self al baie kere ander vervloek het.^j

23 Ek het dit alles met behulp van wysheid getoets, en ek het gesê: "Ek sal wys word." Maar ek kon dit nie regkry nie.

24 Alles wat bestaan, is onbereikbaar en baie diep. Wie kan dit verstaan?^k **25** Ek het my daarop toegelê om wysheid en die rede vir dinge te leer ken, na te vors en te ondersoek, en om te verstaan hoe goddeloos dwaasheid is en hoe dwaas maligheid is.^l **26** Toe het ek dit uitgevind: Die vrou wat soos 'n jagter se net is, wie se hart soos sleepnette is en wie se hande soos boeie is, is bitterder as die dood. Die een wat God se goedkeuring het, sal nie deur haar gevang word nie,^m maar die sondaar word wel deur haar gevang.ⁿ

27 "Kyk! Dit is wat ek gevind het," sê die byeenbringer.^o "Ek het die een ding ná die ander ondersoek om tot 'n slotsom te kom, **28** maar wat ek heelyd

gesoek het, het ek nie gevind nie. Onder 'n duisend mense het ek een man* gevind, maar ek het nie 'n vrou onder hulle gevind nie. **29** Dit is al wat ek gevind het: Die ware God het die mensdom goed gemaak,^a maar hulle het baie planne uitgedink.”^b

8 Wie is soos die wyse man? Wie weet wat die oplossing vir 'n probleem is? Die wysheid van 'n mens laat sy gesig straal en versag sy streng voorkoms.

2 Ek sê: “Gehoorsaam die bevel van die koning^c uit respek vir die eed wat voor God afgelê is.”^d **3** Moenie haastig wees om van die koning af weg te gaan nie.^e Moenie betrokke raak by 'n slegte saak nie.^f Hy kan doen net wat hy wil, **4** want die koning se woord is wet.^g Wie kan vir hom sê: ‘Wat doen u?’”

5 Die een wat die gebod gehoorsaam, kom nie in die moeilikheid nie,^h en die een met 'n wyse hart sal weet wanneer en hoe om op te tree.ⁱ **6** Daar is 'n regte tyd en manier om elke saak te hanteer,^j want die mensdom het so baie probleme. **7** Niemand weet wat sal gebeur nie, hoe kan iemand dan sê hoe dit sal gebeur?

8 Net soos geen mens mag het oor die gees* of kan keer dat die gees uitgaan nie, so het niemand beheer oor die dag van die dood nie.^k Net soos niemand gedurende 'n oorlog vrystelling kry nie, so sal goddeloosheid nie toelaat dat dié wat dit beoefen, die gevolge vryspring nie.[#]

9 Ek het dit alles gesien, en ek het alles ondersoek wat onder die son gedoen is, geduren-

7:28 *Of “regskape man”. 8:8 *Of “asem; wind”. #Of moontlik “so sal die goddeloses se goddeloosheid hulle nie kan red nie”.

HFST. 7

a Ge 1:26, 31

b Ge 3:6
Ge 6:12
De 32:5

HFST. 8

c Spr 24:21, 22
Ro 13:1
Tit 3:1
1Pe 2:13

d 2Sa 5:3

e Pr 10:4

f 1Kn 1:5, 7
Spr 20:2

g 1Kn 2:24, 25

h Ro 13:5
1Pe 3:13

i 1Sa 24:12, 13
1Sa 26:8-10
Ps 37:7

j Pr 3:17

k Ps 89:48

Tweede kol.

a Eks 1:13, 14
Mi 7:3

b Spr 10:7

c Ps 10:4, 6

d 1Sa 2:22, 23

e Ps 34:9
Ps 103:13
Ps 112:1
Jes 3:10
2Pe 2:9

f Ps 37:10
Jes 57:21

g Job 24:24

h Pr 7:15

i Ps 37:7
Ps 73:12

j Ps 100:2

k Pr 2:24
Pr 3:12, 13

l Pr 1:13
Pr 7:25

de die tyd waarin die mens oor die mens heers tot sy nadeel.^a **10** En ek het gesien hoe die goddeloses begrawe word, dié wat by die heilige plek ingegaan en uitgegaan het, maar hulle word gou vergeet in die stad waar hulle so opgetree het.^b Dit is ook nutteloos.

11 Omdat 'n slegte daad nie gou gestraf word nie,^c kry mense* meer moed om te doen wat sleg is.^d **12** 'n Sondaar kan miskien 'n honderd keer doen wat sleg is en nogtans lank lewe. Maar ek weet ook dat dit goed sal gaan met dié wat die ware God vrees, omdat hulle hom vrees.^e **13** Maar dit sal nie goed gaan met die goddelose nie,^f en ook sal hy nie sy lewe, wat soos 'n skaduwee is,^g verleng nie, omdat hy God nie vrees nie.

14 Daar is iets frustrerends* wat op die aarde gebeur: Daar is regverdig mense wat behandel word asof hulle goddeloos opgetree het^h en goddelose mense wat behandel word asof hulle regverdig opgetree het.ⁱ Ek sê dat dit ook nutteloos is.

15 Daarom het ek vreugde aanbeveel,^j want daar is vir die mens niks beters onder die son as om te eet en te drink en vreugdevol te wees nie. Hy moet vreugdevol wees terwyl hy hard werk gedurende al die dae van sy lewe,^k wat die ware God hom onder die son gegee het.

16 Ek het my daarop toegelê om wysheid te verkry en om alles te sien wat op die aarde gebeur,^l en ek het selfs dag en nag my slaap opgeoffer.*

17 Toe het ek gedink aan al die werk van die ware God, en ek

8:11 *Lett. “die hart van mense”. 8:14 *Of “nutteloos”. 8:16 *Of moontlik “en dat mense dag of nag nie slaap sien nie”.

het besef dat die mensdom nie kan verstaan wat onder die son gebeur nie.^a Al probeer mense hoe hard, hulle kan dit nie verstaan nie. Selfs al sê hulle dat hulle wys genoeg is om te verstaan, kan hulle dit nie werklik verstaan nie.^b

9 Toe het ek oor dit alles nagedink en tot die slotsom gekom dat die regverdige in die wyses, sowel as hulle werke, in die hande van die ware God is.^c Mense is nie bewus van die liefde en die haat wat voor hulle daar was nie. **2** Almal het presies dieselfde uiteinde,^d die regverdige en die goddelose,^e die goeie, die reine en die onreine, dié wat offerandes bring en dié wat nie offerandes bring nie. Die goeie mens is dieselfde as die sondaar. Die een wat 'n eed sweer, is dieselfde as die een wat bang is om 'n eed te sweer. **3** Daar is iets ontstellends wat onder die son gebeur: Omdat almal dieselfde uiteinde het,^f is die hart van mense vol slegtheid. En daar is dwaasheid in hulle hart gedurende hulle lewe, en dan sterf hulle!

4 Daar is hoop vir dié wat onder die lewendes is, want 'n lewende hond is beter af as 'n dooie leeu.^g **5** Want die lewendes weet dat hulle sal sterf,^h maar die dooies weet absoluut niks nie.ⁱ En hulle het ook nie meer 'n beloning* nie, want hulle word heeltemal vergeet.^j **6** Ook hulle liefde en hulle haat en hulle jaloesie het reeds verdwyn, en hulle het nie meer 'n deel aan wat op hierdie aarde gedoen word nie.^k

7 Gaan, eet jou kos met blydskap, en drink jou wyn met

9:5 *Of "loon". #Of "elke herinnering aan hulle gaan verlore".

HFST. 8

a Pr 3:11

Ro 11:33

b Job 28:12

Pr 7:24

Pr 11:5

HFST. 9

c De 33:3

1Sa 2:9

Ps 37:5

d Pr 5:15

e Pr 8:10

f Job 3:17-19

Pr 2:15

g Jes 38:19

h Ge 3:19

Ro 5:12

i Ps 88:10

Ps 115:17

Ps 146:4

Jes 38:18

Joh 11:11

j Job 7:9,10

Pr 2:16

k Pr 9:10

Tweede kol.

a De 12:7

Ps 104:15

Pr 2:24

b De 16:15

Han 14:17

c Da 10:2, 3

d Spr 5:18

e Pr 5:18

f Ps 115:17

Ps 146:3, 4

Jes 38:18

g 1Sa 17:50

Ps 33:16

h Pr 2:15

i 2Sa 17:23

j Pr 8:8

Jak 4:13,14

'n vrolike hart,^a want die ware God is reeds tevrede met wat jy doen.^b **8** Mag jou klere altyd wit* wees, en moenie vergeet om olie op jou kop te sit nie.^c **9** Geniet die lewe met jou geliefde vrou^d al die dae van jou kort* lewe, wat Hy jou onder die son gegee het, al die dae van jou lewe wat gou verbygaan.^e Want dit is jou lot^a in die lewe en jou beloning vir jou harde werk op hierdie aarde.^e **10** Doen alles wat jou hand vind om te doen met al jou mag, want daar is geen werk of beplanning of kennis of wysheid in die Graf,^f waarheen jy gaan nie.

11 Ek het nog iets onder die son gesien: Die vinniges wen nie altyd die wedloop nie en die sterkes wen nie altyd die geveg nie,^g die wyses het nie altyd die kos nie en die slimmes het nie altyd die rykdom nie,^h en dié wat kennis het, is nie altyd suksesvol nie,ⁱ want tyd en onverwagse* gebeure tref hulle almal. **12** Want die mens ken nie sy tyd nie.^j Soos visse in 'n dodelike net gevang word en voëls in 'n strik gevang word, so word mense gevang wanneer rampspoed hulle skielik tref.

13 Ek het ook die volgende omtrent wysheid onder die son gesien - en dit het 'n indruk op my gemaak: **14** Daar was 'n klein stad met 'n paar manne daarin. 'n Magtige koning het daarteen opgetrek en dit omsingel en dit beleër.* **15** Daar was 'n arm maar wyse man in die stad, en hy het die stad deur sy

9:8 *D.w.s. klere wat 'n vreugdevolle gemoedstemming weerspieël, nie rouklere nie. 9:9 *Of "nuttelose". #Of "van jou nuttelosheid". ^Of "deel". 9:10 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. 9:11 *Of "onvoorsiene". 9:14 *Of "groot beleëringswerke daarteen gebou".

wysheid gered. Maar niemand het daardie arm man onthou nie.^a **16** En ek het vir myself gesê: “Wysheid is beter as krag,^b maar ’n arm man se wysheid word verag, en daar word nie na sy woorde geluister nie.”^c

17 Dit is beter om te luister na die kalm woorde van ’n wyse mens as na die uitroep van die een wat oor dwase heers.

18 Wysheid is beter as oorlogswapens, maar net een son- daar kan baie goeie dinge vernietig.^d

10 Net soos dooie vlieë lek- kerruik-olie laat stink en borrel, so bederf ’n bietjie dwaasheid wysheid en eer.^e

2 Die hart van die wyse lei hom op die regte weg, maar die hart van die dwaas lei hom op die verkeerde weg.^f

3 Dit maak nie saak watter weg ’n dwaas volg nie, hy is onver- standig,^g en hy wys vir almal dat hy ’n dwaas is.^h

4 As ’n heerser vir jou woed- end word, moet jy nie jou plek verlaat nie,ⁱ want kalmte versag groot sondes.^j

5 Daar is iets ontstellends wat ek onder die son gesien het, ’n fout wat dié maak wat ge- sag het:^k **6** Dwase kry hoë po- sisisies, maar die rykes* bly in lae posisies.

7 Ek het knegte op perde ge- sien, maar leiers wat soos kneg- te te voet loop.^l

8 Die een wat ’n put gra- we, kan daarin val.^m En die een wat deur ’n klipmuur breek, kan deur ’n slang gebyt word.

9 Die een wat klippe uitkap, kan seerkry. En die een wat hout kap, kan beseer word.*

10:6 *Of “bekwames”. 10:9 *Of moontlik “moet versigtig daarmee werk”.

HFST. 9
a Pr 9:11
b Spr 21:22
Spr 24:5
Pr 7:12, 19
Pr 9:18
c Mr 6:3
1Kor 2:8
d Jos 22:20
1Kor 5:6
Heb 12:15

HFST. 10
e Nu 20:10, 12
2Sa 12:9-11
f Spr 14:8
Spr 17:16
g Spr 10:23
h Spr 13:16
Spr 18:7
i Pr 8:2, 3
j 1Sa 25:23, 24
Spr 25:15
k 1Sa 26:21
1Kn 12:13, 14
l Spr 30:21-23
m Spr 26:27

Tweede kol.
a 1Kn 10:6, 8
Ps 37:30
Lu 4:22
Ef 4:29
b Ps 64:2, 8
Spr 10:14, 21
Spr 14:3
c 1Sa 25:10, 11
d Spr 10:19
Spr 15:2
e Spr 27:1
Pr 6:12
Jak 4:13, 14
f 2Kr 13:7
2Kr 36:9
g Spr 31:4, 5
h Spr 21:25
Spr 24:33, 34
i Ps 104:15
Pr 9:7
j Pr 7:12
k Eks 22:28

10 As ’n byl stomp is en ’n mens dit nie slyp nie, moet jy baie krag gebruik. Maar wys- heid help jou om suksesvol te wees.

11 As die slang byt voordat hy besweer is, dan is daar geen voordeel vir die vaardige slang- besweerder* nie.

12 Die woorde uit die mond van die wyse verkry vir hom goedkeuring,^a maar die lippe van die dwaas lei tot sy on- dergang.^b **13** Die eerste woor- de uit sy mond is dwaasheid,^c en sy laaste woorde is mallig- heid wat tot rampspoed lei. **14** Maar die dwaas hou aan om te praat.^d

Die mens weet nie wat sal ge- beur nie. Hoe kan iemand dan vir hom sê wat ná hom sal ge- beur?^e

15 Die harde werk van die dwaas maak hom moeg, want hy weet nie eers hoe om by die stad uit te kom nie.

16 Dit is verskriklik vir ’n land as die koning ’n seun is^f en as die leiers reeds in die og- gend begin feesvier! **17** Geluk- kig is die land as die koning uit ’n belangrike familie kom en as die leiers op die regte tyd eet en drink om hulle te versterk, nie om dronk te word nie!^g

18 Weens groot luiheid sak die dakbalke in, en weens slap hande lek die huis.^h

19 Kos bring plesier, en wyn maak die lewe aangenaam,ⁱ maar geld voorsien in alle be- hoeftes.^j

20 Moenie die koning ver- vloek nie,^k selfs nie in jou gedag- tes* nie, en moenie die rykes in jou slaapkamer vervloek nie, want die voëls kan dit^l oorver-

10:11 *Lett. “die meester van die tong”. 10:20 *Of moontlik “op jou bed”. ^lOf “die boodskap”.

tel, hulle* kan herhaal wat gesê is.

11 Stuur jou brood uit op die water,^a want eendag* sal jy dit terugkry.^b **2** Gee 'n deel van wat jy het aan sewe, of selfs aan agt,^c want jy weet nie water rampspoed op die aarde sal plaasvind nie.

3 As die wolke vol water is, sal reën op die aarde val. En of 'n boom na die suide of na die noorde val, op die plek waar die boom val, daar sal dit lê.

4 Die een wat die wind dophou, sal nie saad saai nie, en die een wat na die wolke kyk, sal nie oes nie.^d

5 Net soos jy nie weet hoe die gees werk in die liggaam* van 'n kind in 'n swanger vrou nie,^e so ken jy nie die werk van die ware God, wat alles doen nie.^f

6 Saai jou saad in die oggend en moenie jou hand laat rus voordat dit aand is nie,^g want jy weet nie watter een sal groei nie, hierdie een of daardie een, en of hulle al twee sal groei nie.

7 Die lig is soet, en dit is goed vir die oë om die son te sien. **8** Want as 'n mens lank lewe, moet hy al sy lewensjare geniet.^h Maar hy moet ont hou dat die donker dae baie kan wees. Alles wat nog kom, is nutteloos.ⁱ

9 Geniet jou jeug, jong man, en laat jou hart bly wees terwyl jy jonk is. Doen wat jy graag wil doen* en gaan waar jou oë jou lei, maar weet dat die ware God jou vir al hierdie dinge verantwoordelik sal hou.^{#j}

10:20 *Lett. "iets wat vlerke het". **11:1** *Of "ná baie dae". **11:5** *Lett. "gebeente". **11:9** *Of "Volg die weë van jou hart". #Of "op grond van al hierdie dinge sal oordeel".

HFST. 11

a Spr 22:9

b De 15:10, 11
Spr 19:17
Lu 14:13, 14
Heb 6:10

c Ps 37:21
Lu 6:38
2Kor 9:7
1Ti 6:18

d Spr 20:4

e Ps 139:15

f Job 26:14
Ps 40:5
Pr 8:17
Ro 11:33

g Pr 9:10
2Kor 9:6
Kol 3:23

h Pr 5:18
Pr 8:15

i Pr 12:1

j Pr 3:17
Pr 12:14
Ro 2:6

Tweede kol.

a Ps 25:7
2Ti 2:22

HFST. 12

b Ps 71:17
Ps 148:7, 12
Lu 2:48, 49
2Ti 3:15

c Ps 90:10

d 1Sa 4:15

e Ge 48:10

f 2Sa 19:34, 35

g Spr 16:31

h Job 30:23
Pr 9:10

i Ge 50:7, 10

j Ge 3:19
Ps 146:4

k Ge 2:7
Job 27:3
Job 34:14, 15
Ps 104:29
Jes 42:5

l 1Kn 8:1

m Pr 1:2, 14

10 Verwyder dus bekommernisse uit jou hart, en hou skadelike dinge weg van jou liggaam, want jeug en jonkheid gaan gou verby.^{*a}

12 Dink aan jou Groot Skepper terwyl jy jonk is,^b voordat die moeilike dae kom^c en die jare aanbreek wanneer jy sal sê: "Ek geniet dit nie meer nie"; **2** voordat die son en die lig en die maan en die sterre donker word^d en die wolke terugkeer ná* die stortreën; **3** die dag wanneer die wagte van die huis begin bewe, en die sterk manne krom word, en die vrouens ophou maal omdat hulle min geword het, en die vrouens wat deur die vensters kyk, vind dat dit donker is;^e **4** wanneer die deure na die straat toegemaak is, wanneer die geluid van die meul dof word, wanneer jy opstaan as die voëltjies begin sing en wanneer al die dogters van die lied dof raak.^f **5** Jy is ook bang vir hoogtes en gevare op straat. En die amandelboom dra bloeisel,^g en die sprinkaan sleep hom voort, en die kapperbessie* bars oop, want die mens gaan na sy permanente huis,^h en die treurendes loop in die straat;ⁱ **6** voordat die silwerdraad verwyder word en die goue bak stukkend breek en die kruik by die fontein breek en die waterwiel van die reënput stukkend val. **7** Dan keer die stof terug na die aarde,^j net soos dit was, en die gees* keer terug na die ware God wat dit gegee het.^k

8 "Dit is heeltemal nutteloos!" sê die byeenbringer.^l "Alles is nutteloos."^m

11:10 *Of "is nutteloosheid". **12:2** *Of moontlik "met". **12:5** *Verwys na 'n bessie wat gebruik is om eetlus te stimuleer. **12:7** *Of "lewenskrag".

9 Die byeenbringer het nie net wys geword nie, maar hy het ook wat hy weet, vir die volk bly leer,^a en hy het nagedink en deeglik ondersoek ingestel sodat hy baie spreuke kon saamstel.^{*b} 10 Die byeenbringer het probeer om aangename woorde^c te vind en om akkurate woorde van waarheid neer te skryf.

11 Die woorde van die wyses is soos osprikkels,^{*d} en die spreuke wat hulle versamel het, is soos spykers wat diep inge-

12:9 *Of “in volgorde kon rangskik”.
12:11 *Sien Woordelys, “Prikkel”.

HFST. 12

- a 1Kn 10:1, 3
- 1Kn 10:6, 8
- b 1Kn 4:29, 32
- Spr 1:1
- c Spr 16:24
- Spr 25:11
- d Han 2:37
- Heb 4:12

Tweede kol.

- a Pr 1:18
- b Job 28:28
- Ps 111:10
- Spr 1:7
- c 1Jo 5:3
- d De 6:1, 2
- De 10:12
- e Ps 62:12
- Pr 11:9
- Mt 12:36, 37
- Han 17:31
- 2Kor 5:10
- 1Ti 5:24

slaan is; hulle is deur een herder gegee. 12 Wat enigiets anders betref, my seun, wees ge-waarsku: Daar kom geen einde aan die maak van baie boeke nie, en groot toewyding daaraan maak 'n mens moeg.^a

13 Nadat alles gehoor is, is dít die slotsom: Vrees die ware God^b en gehoorsaam sy ge-booie,^c want dit is die he-le verpligting van die mens.^d

14 Want die ware God sal elke daad oordeel, insluitende alles wat in die geheim gedoen word, en hy sal besluit of dít goed of sleg is.^e

HOUGLIED VAN SALOMO

O O R S I G

SULAMMITIESE MEISIE IN KONING SALOMO SE KAMP (1:1–3:5)

- 1 Die mooiste lied (1)
 - Jong vrou (2-7)
 - Dogters van Jerusalem (8)
 - Koning (9-11)
 - “Ons sal vir jou goue juwele maak” (11)
 - Jong vrou (12-14)
 - “My geliefde is vir my soos 'n sakkie mirre” (13)
 - Herder (15)
 - “Jy is pragtig, my liefling”
 - Jong vrou (16, 17)
 - “Jy is pragtig, my geliefde” (16)
- 2 Jong vrou (1)
 - “Ek is maar net 'n veldblommetjie”
- Herder (2)
 - ‘My liefling is soos 'n lелie’
- Jong vrou (3-14)
 - ‘Moenie liefde opwek as dit nie vanself ontstaan nie’ (7)
 - Herder aangehaal (10b-14)
 - ‘Kom saam met my, my mooiste’ (10b, 13)

- Jong vrou se broers (15)
 - “Vang die jakkalse vir ons”
- Jong vrou (16, 17)
 - “My geliefde is myne en ek is syne” (16)
- 3 Jong vrou (1-5)
 - ‘Snags het ek die een wat ek liefhet, gesoek’ (1)

SULAMMITIESE MEISIE IN JERUSALEM (3:6–8:4)

- 3 Dogters van Sion (6-11)
 - Salomo se gevolg beskryf
- 4 Herder (1-5)
 - “Jy is pragtig, my liefling” (1)
 - Jong vrou (6)
 - Herder (7-16a)
 - ‘Jy het my hart verower, my bruid’ (9)
 - Jong vrou (16b)
- 5 Herder (1a)
 - Vroue van Jerusalem (1b)
 - “Word dronk van die liefde!”
 - Jong vrou (2-8)
 - Vertel haar droom
 - Dogters van Jerusalem (9)

- “Wat maak jou geliefde beter as al die ander?”
 Jong vrou (10-16)
 “Hy staan uit onder tienduisend” (10)
- 6 Dogters van Jerusalem (1)
 Jong vrou (2, 3)
 “Ek is my geliefde s'n, en my geliefde is myne” (3)
 Koning (4-10)
 “Jy is so pragtig soos Tirsas” (4)
 Vroue aangehaal (10)
 Jong vrou (11, 12)
 Koning (en ander) (13a)
 Jong vrou (13b)
 Koning (en ander) (13c)
- 7 Koning (1-9a)
 “Hoe lieflik is jy, o geliefde meisie” (6)
 Jong vrou (9b-13)
 “Ek is my geliefde s'n, en hy smag na my” (10)

- 8 Jong vrou (1-4)
 “As jy maar net vir my soos my broer was” (1)
- SULAMMITIESE MEISIE KEER TERUG, HAAR LOJALITEIT BEWYS (8:5-14)
- 8 Jong vrou se broers (5a)
 ‘Wie is dit, wat op haar geliefde leun?’
 Jong vrou (5b-7)
 “Die liefde is so sterk soos die dood” (6)
 Jong vrou se broers (8, 9)
 “As sy 'n muur is, . . . maar as sy 'n deur is, . . .” (9)
 Jong vrou (10-12)
 “Ek is 'n muur” (10)
 Herder (13)
 ‘Laat my jou stem hoor’
 Jong vrou (14)
 “Wees so vinnig soos 'n wildsbok”

1 Die mooiste lied,* die lied van Salomo:^a

2 “Soen my met die soene van jou mond, want jy verseker my van jou liefde, en dit is beter as wyn.^b

3 Die reuk van jou olies is aangenaam.^c
 Jou naam is soos lekkerruik-olie wat uitgegiet word.^d
 Daarom is die jong vroue lief vir jou.

4 Neem my saam met jou, laat ons hardloop.
 Die koning het my na sy binnekamers gebring!
 Laat ons bly wees en saam vrolik wees.
 Laat ons jou liefde* prys, dit is beter as wyn.

1:1 *Of “Die voortreflikste lied”. 1:4 *Of “liefdesblyke”.

HFST. 1

a 1Kn 4:29, 32

b Hgl 4:10

c Spr 27:9
 Pr 9:8
 Hgl 5:5

d Pr 7:1

Tweede kol.

a Ps 120:5
 Ese 27:21

b Eks 36:14

c Hgl 6:3

Geen wonder dat hulle* lief is vir jou nie.

5 Ek is donker,* maar lieflik, o dogters van Jerusalem, soos die tente van Kedar,^a soos die tentdoeke^b van Salomo.

6 Moenie na my staar omdat ek donker is nie, want die son het my bruin gebrand.

My broers was kwaad vir my. Hulle het my aangestel om die wingerde op te pas, maar ek het nie vir my eie wingerd gesorg nie.

7 My geliefde, sê tog vir my waar jy jou skape oppas^c en waar jy hulle in die middag laat rus.

1:4 *D.w.s. die jong vrou. 1:5 *Lett. “swart”.

- Hoekom moet ek wees soos 'n vrou wat 'n sluier* dra by die kuddes van jou vriende?"
- 8 "As jy dit nie weet nie, o pragtigste van al die vroue, gaan volg die spore van die kudde en laat jou boklammers langs die tente van die herders wei."
- 9 "My liefling, jy is soos 'n* merrie voor die strydwaens van Farao.^a
- 10 Lieflik is jou wange en jou versierings,* jou nek met stringe krale om.
- 11 Ons sal vir jou goue juwele* maak, wat met silwerknoppies versier is."
- 12 "Terwyl die koning by sy ronde tafel sit, versprei die geur van my parfuim.*^b
- 13 My geliefde is vir my soos 'n sakkie mirre^c wat lekker ruik en gedurende die nag tussen my borste is.
- 14 My geliefde is vir my soos hennablomme^d tussen die wingerde van En-Gedi."^e
- 15 "Jy is pragtig, my liefling. Jy is pragtig. Jou oë is soos dié van duiwe."^f
- 16 "Jy is pragtig,* my geliefde, en lieflik.^g Ons bed is tussen die blare.
- 17 Die balke van ons huis is sederbome, ons dakbalke is jenerbome.

1:7 *Of "rouklere". 1:9 *Of "my". 1:10 *Of moontlik "tussen die haarvlegsels". 1:11 *Of "ringe". 1:12 *Lett. "nardus". 1:16 *Of "aantreklik".

HFST. 1
a 1Kn 10:28
2Kr 1:16, 17
Hgl 6:4

b Hgl 4:13, 14

c Eks 30:23, 25
Est 2:12
Ps 45:8
Hgl 4:6
Hgl 5:13

d Hgl 4:13

e Jos 15:20, 62
1Sa 23:29
2Kr 20:2

f Hgl 4:1
Hgl 5:2

g Hgl 5:10

Tweede kol.

HFST. 2
a Hgl 2:16

b 1Sa 30:11, 12

c Hgl 8:3

d 2Sa 2:18

e Hgl 3:5
Hgl 8:4

f Hgl 2:17
Hgl 8:14

- 2 "Ek is maar net 'n veldblommietjie* van die kusvlakte, 'n lelie van die valleie."^a
- 2 "Soos 'n lelie tussen die dorings, so is my liefling onder die dogters."
- 3 "Soos 'n appelboom tussen die bome van die woud, so is my geliefde onder die seuns. Ek smag daarna om in sy skaduwee te sit, en sy vrugte is soet in my mond.
- 4 Hy het my in die feesplek* ingebring, en almal kon sy liefde vir my sien.
- 5 Versterk my met rosynekoekes,^b verfris my met appels, want ek is siek weens die liefde.
- 6 Sy linkerhand is onder my kop, en sy regterarm omhels my.^c
- 7 O dogters van Jerusalem, sweer vir my by die wildsbokke^d en die takbokooie van die veld dat julle nie die liefde in my sal probeer wakker maak of opwek as dit nie vanself ontstaan nie.^e
- 8 Die geluid van my geliefde! Kyk! Hier kom hy. Hy klim oor die berge, hy spring oor die heuwels.
- 9 My geliefde is soos 'n wildsbok, soos 'n jong takbok.^f Daar staan hy agter ons muur, hy kyk deur die vensters, hy loer deur die traliewerk.
- 10 My geliefde praat, hy sê vir my: 'Staan op, my liefling,

2:1 *Lett. "saffraan". 2:4 *Lett. "wynhuis".

- my mooiste, kom saam met my.
- 11** Want die winter* is verby. Die reën het verdwyn.
- 12** Bloeisels het in die land verskyn,^a die tyd om te snoei, het aangebreek,^b en die lied van die tortelduif word in ons land gehoor.^c
- 13** Die vroeë vye is ryp aan die vyeboom;^d die bloeisels van die wingerdstokke versprei hulle geur. Staan op, my liefling, en kom. Kom saam met my, my mooiste.
- 14** O my duif, in die skuilplekke van die rotse,^e in die skeure van die krans, laat ek jou sien en jou stem hoor,^f want jou stem is so mooi en jou voorkoms is lieflik."^g
- 15** "Vang die jakkalse vir ons, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, aangesien ons wingerde al bot."
- 16** "My geliefde is myne en ek is syne.^h Hy pas skapeⁱ op tussen die lelies.^j
- 17** Voordat die windjie begin waai en die skaduwees vlug, moet jy gou terugkeer, my geliefde, soos die wildsbok^k of die jong takbok^l op die berge van skeiding.*
- 3** "Snags op my bed het ek die een wat ek liefhet, gesoek.^m Ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gevind nie."ⁿ

2:11 *Of "reënseisoen". 2:17 *Of "die Beterberge".

HFST. 2

a Hgl 6:11

b Jes 18:5
Joh 15:2

c Jer 8:7

d Jes 28:4
Na 3:12

e Hgl 5:2
Jer 48:28

f Hgl 8:13

g Hgl 1:5
Hgl 6:10

h Hgl 7:10

i Hgl 1:7

j Hgl 2:1
Hgl 6:3

k 2Sa 2:18

l Hgl 2:9
Hgl 8:14

HFST. 3

m Hgl 1:7

n Hgl 5:6

Tweede kol.

a Hgl 5:7

b Hgl 8:2

c Hgl 2:7
Hgl 8:4

d Eks 30:23, 24
Eks 30:34

e 1Kn 9:22

- 2** Ek sal opstaan en die stad deursoek. Laat ek die een wat ek liefhet op die strate en op die openbare pleine soek. Ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gevind nie.
- 3** Die wagte wat hulle rondtes in die stad doen, het my gevind.^a "Het julle die een wat ek liefhet, gesien?"
- 4** Ek was net by hulle verby toe ek die een vind wat ek liefhet. Ek het hom vasgehou, ek wou hom nie laat gaan nie totdat ek hom in my ma se huis ingebring het,^b in die binnekamer van die een wat aan my geboorte gegee het.
- 5** O dogters van Jerusalem, sweer vir my by die wildsbokke en die takbokooie van die veld dat julle nie die liefde in my sal probeer wakker maak of opwek as dit nie vanself ontstaan nie."^c
- 6** "Wat kom soos rookwolke daar uit die wildernis aan, met die geur van mirre en wierook en al die lekkerruik-poeiers van 'n handelaar?"^d
- 7** "Kyk! Dit is die drastoeel* van Salomo, omring deur sestig sterk manne, uit die sterk manne van Israel."^e
- 8** Elkeen is gewapen met 'n swaard, opgelei om oorlog te voer, elkeen met sy swaard aan sy sy,

3:7 *'n Toegeboude stoel waarin 'n belangrike persoon gedra is.

gereed vir die nag se gevare.”

- 9** “Dit is die koninklike dra-stoel van koning Salomo wat hy vir hom gemaak het van die bome van die Li'-banon-berge.^a
- 10** Die pilare daarvan het hy van silwer gemaak, die leunings van goud. Die sitplek is van pers wol gemaak. Die binnekant is liefdevol versier deur die dogters van Jerusalem.”
- 11** “Gaan uit, o dogters van Sion, kyk na koning Salomo. Hy dra die kroon* wat sy ma^b vir hom gemaak het op die dag van sy huwelik, op die dag toe sy hart vol blydschap was.”
- 4** “Jy is pragtig, my liefling. Jy is pragtig. Jou oë is soos dié van duive, agter jou sluier. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die berge van Gi'lead afhuppel.^c
- 2** Jou tande is soos 'n trop pas geskeerde skape wat nou net skoon gewas is. Elkeen het 'n tweeling, en nie een het 'n lammetjie verloor nie.
- 3** Jou lippe is soos 'n helder-rooi lint, en jou spraak is aangenaam. Soos stukkies granaat is jou wange* agter jou sluier.
- 4** Jou nek^d is soos die toring van Dawid,^e gebou in kliplae, waaraan 'n duisend skilde hang,

HFST. 3

a 1Kn 5:8, 9

b 2Sa 12:24
Spr 4:3

HFST. 4

c Nu 32:1
De 3:12
Hgl 6:5-7

d Hgl 1:10

e Ne 3:25
Hgl 7:4

Tweede kol.

a 2Sa 8:7
2Kn 11:10

b Hgl 7:3

c Pr 2:5

d Hgl 4:1

e De 3:25

f De 3:8, 9
Ps 133:3

g Spr 5:18, 19

h Hgl 7:12

i Hgl 1:2, 4

j Est 2:12
Hgl 1:12

k Spr 16:24

l Hgl 5:1

al die ronde skilde van die sterk manne.^a

- 5** Jou twee borste is soos twee lammers, die tweeling van 'n wildsbok,^b wat tussen die lelies wei.”
- 6** “Voordat die windjie begin waai en die skaduwees vlug, sal ek na die mirreberg en na die wierookheuvel gaan.”^c
- 7** “Jy is so pragtig, my liefling,^d jy het geen gebrek nie.
- 8** Kom saam met my van die Li'banon-berge af, my bruid, kom saam met my van die Li'banon-berge af,^e van die top van Ama'na,^{*} van die top van Senir, die top van Hermon,^f van die lêplekke van die leeus, van die berge van die luiperds.
- 9** Jy het my hart gesteel,^g my suster, my bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë, met een deeltjie van die ketting om jou nek.
- 10** Jy verseker my van jou liefde, en dit is vir my lieflik,^h my suster, my bruid! Jy verseker my van jou liefde, dit is baie beter as wyn,ⁱ en die geur van jou parfuum as enige spesery!^l
- 11** Jou lippe drup van suiwer heuning,^k my bruid. Heuning en melk is onder jou tong,^j en die geur van jou klere is soos die geur van die Li'-banon-woud.

3:11 *Of “krans”. 4:3 *Of “slape”.

4:8 *Of “die Anti-Libanon”.

- 12** My suster, ja, my bruid,
is soos 'n tuin wat toegesluit is,
'n tuin wat toegesluit is,
'n verseëelde fontein.
- 13** Jy is soos 'n tuin met bome
waarvan die takke vol
granate is,*
met die beste vrugte, met
henna en nardusplante,
- 14** nardus^a en saffraan, geurige
riet^b en kaneel,^c
met allerhande wieroekbo-
me, mirre en aalwyne,^d
saam met al die beste
parfuums.^e
- 15** Jy is 'n fontein in 'n tuin,
'n put met vars water
en stroompies van die Li'-
banon-berge^f af.
- 16** Word wakker, o noordewind;
kom in, o suidewind.
Waai oor my tuin.
Laat die geure daarvan
versprei.”
“Laat my geliefde in sy
tuin inkom
en die beste vrugte
daarvan eet.”
- 5** “Ek het na my tuin toe
gekome,^g
o my suster, my bruid.
Ek het my mirre en my
speserye gepluk.^h
Ek het my heuningkoek en
my heuning geëet.
Ek het my wyn en my melk
gedrink.”ⁱ
“Eet, liewe vriende!
Drink en word dronk van
die liefde!”^j
- 2** “Ek slaap, maar my hart is
wakker,^k
Daar is die geluid van my
geliefde wat klop!
‘Maak vir my oop, o my
suster, my liefeling,
my duif, die een wat vir my
volmaak is!

4:13 *Of moontlik “Jou vel is 'n paradys vol granate”.

HFST. 4

a Joh 12:3

b Jes 43:24

c Spr 7:17

d Ps 45:8

e Eks 30:23, 24
Eks 30:34
Ese 27:2, 22

f Jer 18:14

HFST. 5

g Hgl 4:16

h Hgl 4:13, 14

i Hgl 4:11

j Hgl 1:2

k Hgl 3:1

Tweede kol.

a Lu 2:8

b Hgl 3:1, 3

Want my kop is nat van
die dou,
my hare is nat van die nag se
klammigheid.^a

- 3** Ek het my kleed uitgetrek.
Moet ek dit weer aantrek?
Ek het my voete gewas.
Moet ek dit weer laat vuil
word?
- 4** My geliefde het sy hand te-
ruggetrek uit die opening
in die deur,
en weens hom het my hart
vinniger begin klop.
- 5** Ek het opgestaan om vir my
geliefde oop te maak.
My hande het gedrup van
mirre,
en my vingers van mirre-
olie,
op die slot van die deur.
- 6** Ek het vir my geliefde oop-
gemaak,
maar my geliefde het wegge-
draai, hy was weg.
Ek het moedeloos gevoel toe
hy weggegaan het.*
Ek het hom gesoek, maar ek
het hom nie gevind nie.^b
Ek het hom geroep, maar hy
het my nie geantwoord nie.
- 7** Die wagte wat hulle rondtes
in die stad doen, het my
gekry.
Hulle het my geslaan, hulle
het my gewond.
Die wagte by die mure het
my mantel* van my afge-
neem.
- 8** O dogters van Jerusalem,
sweer vir my:
As julle my geliefde vind,
moet julle vir hom sê dat ek
siek is weens die liefde.”
- 9** “Wat maak jou geliefde beter
as al die ander,
o pragtigste onder die
vroue?

5:6 *Of moontlik “My siel het uit my uitgegaan toe hy gepraat het”. 5:7 *Of “sluier”.

- Wat maak jou geliefde beter
as al die ander
dat jy ons dit laat sweer
het?"
- 10** "My geliefde is aantreklik en
blosend,
hy staan uit tussen tien-
duisend.
- 11** Sy kop is goud, die suiwerste
goud.
Sy hare is soos palmlare
wat in die wind waai,*
so swart soos 'n kraai.
- 12** Sy oë is soos duiwe by
waterstrome,
wat hulle in melk bad
waar hulle by 'n oorvol
poel* sit.
- 13** Sy wange is soos 'n bedding
speserye,^a
hope geurige kruie.
Sy lippe is lelies wat drup
van mirre-olie.^b
- 14** Sy hande is goue silinders,
versier met chrisoliet.
Sy onderlyf is blink gevryfde
ivoor, bedek met saffiere.
- 15** Sy bene is marmerpilare wat
op voetstukke van die sui-
werste goud rus.
Sy voorkoms is soos die
Li'banon, indrukwekkend
soos die sederbome.^c
- 16** Sy mond* is pure soetheid,
en alles aan hom is begeer-
lik.^d
Dit is my geliefde, dit is
my liefling, o dogters van
Jerusalem."
- 6** "Waarheen het jou geliefde
gegaan,
o pragtigste onder die
vroue?
In watter rigting het jou
geliefde gegaan?
Laat ons hom saam met jou
soek."
- HFST. 5
a Hgl 6:2
b Hgl 1:13
c Ps 92:12
d Hgl 2:3
- Tweede kol.
- HFST. 6
a Hgl 1:7
Hgl 2:16
b Hgl 7:10
c Hgl 2:16
d 1Kn 14:17
1Kn 15:33
e Hgl 1:9
f Ps 48:2
g Hgl 6:10
h Hgl 1:15
Hgl 4:9
Hgl 7:4
i Hgl 4:1-3
j 1Kn 11:1
k Hgl 2:14

- 2** "My geliefde het afgegaan
na sy tuin,
na die speserybeddings,
om in die tuine skape op
te pas
en om lelies te pluk.^a
- 3** Ek is my geliefde s'n,
en my geliefde is myne.^b
Hy pas skape op tussen
die lelies."^c
- 4** "Jy is so pragtig soos
Tirsa,^{*d} my liefling,^e
so lieflik soos Jerusalem,^f
so indrukwekkend soos
leërmagte wat om hulle
baniere staan.^g
- 5** Draai jou oë^h van my af weg,
want hulle oorweldig my.
Jou hare is soos 'n trop
bokke
wat teen die hange van
Gi'lead afhuppel.ⁱ
- 6** Jou tande is soos 'n trop
skape
wat nou net skoon gewas is.
Elkeen het 'n tweeling,
en nie een het 'n lammetjie
verloor nie.
- 7** Soos stukkies granaat
is jou wange* agter jou
sluier.
- 8** Al is daar ook 60 koninginne
en 80 byvrouens
en te veel jong vroue om
te tel,^j
- 9** is net een my duif,^k die een
wat vir my volmaak is.
Sy is spesiaal vir haar ma.
Sy is die gunsteling van die
een wat aan haar geboorte
gegee het.
Die dogters sien haar, en
hulle noem haar gelukkig.
Koninginne en byvrouens
prys haar.
- 10** "Wie is sy wat skyn soos die
dagbreek,
wat so pragtig is soos die
volmaan,

5:11 *Of moontlik "is soos dadeltrosse". 5:12 *Of moontlik "die rand van die fontein". 5:16 *Lett. "verhemelte".

6:4 *Of "die Lieflike Stad". 6:7 *Of "slape".

- so rein soos die sonlig,
so indrukwekkend soos leer-
magte wat om hulle banie-
re staan?"^a
- 11** "Ek het afgegaan na die
neuteboord,^b
om te sien of die bome in die
vallei* bot,
om te sien of die wingerd-
stok uitgespruit het,
of die granaatbome se bloei-
sels uitgekome het.
- 12** Voordat ek dit geweet het,
het my verlange my
tot by die strydwaens van
my gewillige volk gebring."
- 13** "Kom terug, kom terug,
o Sulammitiese meisie!
Kom terug, kom terug,
sodat ons jou kan sien!"
"Hoekom kyk julle vir die
Sulammitiese meisie?"^c
"Sy is soos die gedans van
twee groepe!"^{**}
- 7** "Hoe pragtig is jou voete
in jou sandale,
o lieflike* dogter!
Die rondings van jou heupe
is soos juwele,
die werk van 'n ambagsman
se hande.
- 2** Jou naeltjie is 'n ronde bak.
Mag gemengde wyn altyd
daarin wees.
Jou maag is 'n hoop koring,
omring met lelies.
- 3** Jou twee borste is soos twee
lammers,
die tweeling van 'n
wildsbok.^d
- 4** Jou nek^e is soos 'n ivoor-
toring.^f
Jou oë^g is soos die poele in
Hesbon,^h
by die poort van Bat-Rabbim.
Jou neus is soos die toring
van die Li'banon,
wat op Damaskus uitkyk.

6:11 *Of "wadi". Sien Woordelys.

6:13 *Of "die dans van Mahanaim".

7:1 *Of "edele".

HFST. 6

a Hgl 6:4

b Pr 2:5

c Hgl 1:6

HFST. 7

d Hgl 4:5

e Hgl 1:10

f Hgl 4:4

g Hgl 4:1

h Nu 21:25
Jos 21:8, 39

Tweede kol.

a Jes 35:2

b Hgl 6:5

c Est 8:15

d Hgl 7:3
Hgl 8:10e Hgl 2:16
Hgl 6:3

f Hgl 1:14

g Hgl 2:13

h Hgl 6:11

i Hgl 1:2
Hgl 4:10

j Ge 30:14

k Hgl 4:16

- 5** Jou kop is soos die berg
Karmel,^a
en die lokke van jou hare^b is
soos pers wol.^c
Die koning is bekoor deur
jou golvende hare.
- 6** Hoe pragtig is jy, en hoe
lieflik is jy,
o geliefde meisie, jy is alles
wat 'n mens kan begeer!
- 7** Jou gestalte is soos 'n palm-
boom,
en jou borste soos dadel-
trosse.^d
- 8** Ek het gesê: 'Ek sal teen die
palmboom opklim,
en sy vrugte pluk.'
Mag jou borste soos druiwe-
trosse wees,
en jou asem soos die geur
van appels,
- 9** en jou mond* soos die bes-
te wyn."
"Mag dit vir my geliefde glad
na binne gly,
saggies vloei oor die lippe
van dié wat slaap.
- 10** Ek is my geliefde s'n,^e
en hy smag na my.
- 11** Kom, my geliefde,
laat ons uitgaan na die veld,
laat ons tussen die henna-
plante^f oornag.
- 12** Laat ons vroeg opstaan en
na die wingerde gaan,
om te sien of die wingerd-
stok uitgespruit het,
of die bloeisels oopgegaan
het,^g
of die granaatbome bloeisels
het.^h
Daar sal ek jou verseker van
my liefde vir jou.ⁱ
- 13** Die liefdesappels^j versprei
hulle geur.
By ons deure is daar aller-
hande heerlike vrugte.^k
Die nuwes sowel as die oues
het ek vir jou gebêre, o my
geliefde.

7:9 *Lett. "verhemelte".

- 8** “As jy maar net vir my soos my broer was, wat aan my ma se borste gedrink het! Dan sou ek jou soen as ek jou buite kry,^a en niemand sou my veroordeel nie.
- 2** Ek sou jou lei, ek sou jou in die huis van my moeder inbring,^b sy wat my geleer het. Ek sou jou kruiwyn gee om te drink, en vars granaatsap.
- 3** Sy linkerhand sou onder my kop wees, en sy regterarm sou my omhels.^c
- 4** O dogters van Jerusalem, sweer vir my dat julle nie die liefde in my sal probeer wakker maak of opwek as dit nie vanself ontstaan nie.”^d
- 5** “Wie is dit wat daar uit die wildernis opkom, wat op haar geliefde leun?” “Onder die appelboom het ek jou wakker gemaak. Daar het jou ma geboortepyne gekry. Daar het sy geboortepyne gekry en aan jou geboorte gegee.
- 6** Plaas my as ’n seël op jou hart, as ’n seël op jou arm, want die liefde is so sterk soos die dood,^e en uitsluitlike toegewytheid is so onversetlik soos die Graf.* Die vlamme daarvan is ’n brandende vuur, die vlam van Jah.”^f

8:6 *Of “Sjeool”. Sien Woordelys. “Jah” is ’n verkorte vorm van die naam Jehovah.

HFST. 8

a Hgl 1:2

b Hgl 3:4

c Hgl 2:6

d Hgl 2:7
Hgl 3:5

e Joh 15:13
Ef 5:25
Op 12:11

f De 4:24
1Jo 4:8

Tweede kol.

a 1Kor 13:8, 13

b Ro 8:38, 39

c Hgl 1:6

d Pr 2:4

e Hgl 1:6
Hgl 6:11

f Hgl 2:14

g Hgl 2:9, 17

- 7** Onstuimige waters kan die liefde nie blus nie,^a en ook kan riviere dit nie wegspoel nie.^b As ’n man al sy besittings wou gee om liefde te koop, sou mense beslis daarop* neersien.”
- 8** “Ons het ’n sussie,^c en sy het nog nie borste nie. Wat sal ons vir ons suster doen op die dag dat iemand vra om met haar te trou?”
- 9** “As sy ’n muur is, sal ons ’n silwerrand op haar bou, maar as sy ’n deur is, sal ons haar met ’n sederplank toemaak.”
- 10** “Ek is ’n muur, en my borste is soos torings. En ek het in sy oë geword soos iemand wat vrede vind.
- 11** Salomo het ’n wingerd^d in Baäl-Hamon gehad. Hy het die wingerd in die sorg van opsigtters geplaas. Elkeen het vir die vrugte daarvan ’n duisend silwerstukke ingebring.
- 12** Ek het ’n wingerd, en dit is myne. Die duisend silwerstukke* behoort aan u, o Salomo, en tweehonderd aan die opsigtters.”
- 13** “O jy wat in die tuine woon,^e my vriende wil jou stem hoor. Laat my dit hoor.”^f
- 14** “Maak gou, my geliefde, wees so vinnig soos ’n wildsbok^g of ’n jong takbok op die speseryberge.”

8:7 *Of moontlik “op hom”. 8:12 *Lett. “Die duisend”.

JESAJA

OORSIG

- 1 'n Pa en sy opstandige seuns (1-9)
Jehovah haat onopregte aanbidding (10-17)
"Laat ons sake regstel" (18-20)
Sion weer 'n getroue stad (21-31)
- 2 Jehovah se berg verhef (1-5)
Swaarde in ploegskare verander (4)
Trotse mense verneder op Jehovah se dag (6-22)
- 3 Juda se leiers mislei volk (1-15)
Sion se verleidelike dogters veroordeel (16-26)
- 4 Sewe vrouens gryp een man vas (1)
Wat Jehovah laat uitspruit, sal skitterend wees (2-6)
- 5 Lied oor Jehovah se wingerd (1-7)
Oordeel oor Jehovah se wingerd (8-24)
God woedend vir sy volk (25-30)
- 6 Visioen van Jehovah in sy tempel (1-4)
"Heilig, heilig, heilig is Jehovah" (3)
Jesaja se lippe gereinig (5-7)
Jesaja aangestel (8-10)
"Hier is ek! Stuur my!" (8)
"Hoe lank, o Jehovah?" (11-13)
- 7 Boodskap aan koning Agas (1-9)
Sear-Jasub (3)
Teken van Immanuel (10-17)
Gevolge van ontrouheid (18-25)
- 8 Assiriese inval naby (1-8)
Maher-Salal-Has-Bas (1-4)
Moenie bang wees nie – "God is met ons!" (9-17)
Jesaja en sy kinders soos tekens (18)
Raadpleeg wet, nie demone nie (19-22)
- 9 'n Groot lig vir Galilea (1-7)
Geboorte van "Prins van Vrede" (6, 7)
God se hand teen Israel (8-21)
- 10 God se hand teen Israel (1-4)
Assirië – God se lat (5-11)
Straf oor Assirië (12-19)
'n Oorblyfsel van Jakob sal terugkeer (20-27)
God sal Assirië oordeel (28-34)
- 11 Regverdigde heerskappy van takkie van Isai (1-10)
Wolf sal by lam wees (6)
Kenniss van Jehovah sal aarde vul (9)
Oorblyfsel herstel (11-16)
- 12 Danklied (1-6)
"Jah Jehovah is my sterkte" (2)
- 13 Oordeelsboodskap teen Babilon (1-22)
Dag van Jehovah is naby! (6)
Mede sal Babilon verower (17)
Babilon sal nooit weer bewoon word nie (20)
- 14 Israel sal in hulle eie land woon (1, 2)
Koning van Babilon gespot (3-23)
Stralende sal uit hemel val (12)
Jehovah se hand sal Assirië verpletter (24-27)
Oordeelsboodskap teen Filistea (28-32)
- 15 Oordeelsboodskap teen Moab (1-9)
- 16 Oordeelsboodskap teen Moab voortgesit (1-14)
- 17 Oordeelsboodskap teen Damaskus (1-11)
Nasies sal deur Jehovah bestraf word (12-14)
- 18 Oordeelsboodskap teen Etiopië (1-7)
- 19 Oordeelsboodskap teen Egipte (1-15)
Egipte sal Jehovah leer ken (16-25)
'n Altaar vir Jehovah in Egipte (19)
- 20 Teken teen Egipte en Etiopië (1-6)
- 21 Oordeelsboodskap teen wildernis van die see (1-10)
Hou wag op wagtoring (8)
"Babilon het geval!" (9)
Oordeelsboodskap teen Duma en woestynvlakte (11-17)
"Wag, hoe lank voor die nag verby is?" (11)
- 22 Oordeelsboodskap teen Vallei van die Visioen (1-14)
Sebna deur Eljakim as bestuurder vervang (15-25)
Simboliese pen (23-25)

- 23 Oordeelsboodskap teen Tirus (1-18)
- 24 Jehovah maak land leeg (1-23)
Jehovah die Koning in Sion (23)
- 25 Ryk seëninge vir God se volk (1-12)
Jehovah se feesmaal met goeie wyn (6)
Dood vir ewig weggeneem (8)
- 26 Lied oor vertroue en redding (1-21)
Jah Jehovah, die ewige Rots (4)
Mense op aarde leer regverdigheid (9)
"Julle dooies sal lewe" (19)
Gaan in julle binnekamers en verberg julle (20)
- 27 Leviatan deur Jehovah doodgemaak (1)
Lied oor Israel as wingerd (2-13)
- 28 Dit sal sleg gaan met Efraim se dronkaards! (1-6)
Juda se priesters en profete slinger (7-13)
"Verbond met die Dood" (14-22)
Kosbare hoeksteen in Sion (16)
Jehovah se buitengewone werk (21)
Illustrasie oor Jehovah se wyse dissipline (23-29)
- 29 Dit sal sleg gaan met Ariël! (1-16)
Lippediens veroordeel (13)
Dowes sal hoor en blindes sal sien (17-24)
- 30 Egipte se hulp heeltemal nutteloos (1-7)
Volk verwerp profetiese boodskap (8-14)
Krag lê in vertroue (15-17)
Jehovah betoon goedheid aan sy volk (18-26)
Jehovah, die Groot Onderrigter (20)
"Dit is die weg" (21)
Jehovah sal Assirië straf (27-33)
- 31 Ware hulp kom van God, nie van mense nie (1-9)
Egipte se perde is vlees (3)
- 32 Koning en prinse sal in geregtigheid heers (1-8)
Oorgeruste vrou gewaarsku (9-14)
Seëninge wanneer gees uitgestort word (15-20)
- 33 Oordeel en hoop vir regverdiges (1-24)
Jehovah is ons Regter, Wetgewer, Koning (22)
Niemand sal sê: "Ek is siek" nie (24)
- 34 Jehovah se wraak teen nasies (1-4)
Edom sal verwoes word (5-17)
- 35 Paradys herstel (1-7)
Blindes sal sien en dowes sal hoor (5)
Weg van Heiligheid vir teruggekooptes (8-10)
- 36 Sanherib val Juda binne (1-3)
Rabsake tart Jehovah (4-22)
- 37 Hiskia soek God se hulp deur Jesaja (1-7)
Sanherib dreig Jerusalem (8-13)
Hiskia se gebed (14-20)
Jesaja dra God se antwoord oor (21-35)
Engel maak 185 000 Assiriërs dood (36-38)
- 38 Hiskia se siekte en herstel (1-22)
Danklied (10-20)
- 39 Boodsquappers uit Babilon (1-8)
- 40 Vertrouwing vir God se volk (1-11)
Iemand roep in wildernis uit (3-5)
God se grootheid (12-31)
Nasies soos druppel uit emmer (15)
God woon bo "kring van die aarde" (22)
Noem elke ster op sy naam (26)
God raak nooit moeg nie (28)
Dié wat op Jehovah hoop, kry nuwe krag (29-31)
- 41 Veroweraar uit ooste (1-7)
Israel gekies as God se kneg (8-20)
"My vriend Abraham" (8)
Ander gode uitgedaag (21-29)
- 42 God se kneg en sy opdrag (1-9)
"Jehovah is my naam" (8)
Nuwe loflied vir Jehovah (10-17)
Israel is blind en doof (18-25)
- 43 Jehovah maak sy volk weer bymekaar (1-7)
Hofsaak teen gode (8-13)
"Julle is my getuies" (10, 12)
Bevryding uit Babilon (14-21)
"Laat ons 'n regsak teen mekaar voer" (22-28)

- 44 Seëninge vir God se volk (1-5)
Daar is geen ander God as Jehovah nie (6-8)
Mensgemaakte afgode beteken niks (9-20)
Jehovah, Israel se Terugkoper (21-23)
Herstelling deur middel van Kores (24-28)
- 45 Kores gesalf om Babilon in te neem (1-8)
Klei kan nie met Pottebakker stry nie (9-13)
Ander nasies erken Israel (14-17)
Wat God voorspel, is betroubaar (18-25)
Aarde geskep om bewoon te word (18)
- 46 Babiloniese afgode teenoor Israel se God (1-13)
Jehovah voorspel toekoms (10)
Roofvoël uit ooste (11)
- 47 Val van Babilon (1-15)
Sterrevoorspellers ontmasker (13-15)
- 48 Israel bestraf en gereinig (1-11)
Jehovah sal teen Babilon optree (12-16a)
God leer jou om jouself te bevoordeel (16b-19)
"Gaan uit Babilon uit!" (20-22)
- 49 Jehovah se kneg aangestel (1-12)
Lig vir nasies (6)
Vertrouing vir Israel (13-26)
- 50 Israel se sondes veroorsaak probleme (1-3)
Jehovah se gehoorsame kneg (4-11)
Tong van dié wat geleer is (4)
- 51 Sion herstel soos tuin van Eden (1-8)
Vertrouing deur Sion se magtige Maker (9-16)
Beker van Jehovah se woede (17-23)
- 52 Word wakker, o Sion! (1-12)
Lieflike voete van dié wat goeie nuus bring (7)
Sion se wagte roep saam uit (8)
Dié wat voorwerpe van Jehovah dra, moet rein wees (11)
Jehovah se kneg sal verhef word (13-15)
Verminkte voorkoms (14)
- 53 Lyding, dood en begrafnis van Jehovah se kneg (1-12)
- Op neergesien en vermy (3)
Dra siektes en pyn (4)
"Soos 'n skaap is hy gebring om geslag te word" (7)
Hy het sonde van baie mense gedra (12)
- 54 Onvrugbare Sion sal baie kinders hê (1-17)
Jehovah, Sion se man (5)
Sion se kinders sal deur Jehovah geleer word (13)
Wapens teen Sion sal geen sukses hê nie (17)
- 55 Uitnodiging om verniet te eet en te drink (1-5)
Soek Jehovah en sy betroubare woord (6-13)
God se weë is hoër as mens s'n (8, 9)
God se woord sal beslis doel bereik (10, 11)
- 56 Seëninge vir uitlanders en eunugs (1-8)
Huis van gebed vir almal (7)
Blinde wagte en stom honde (9-12)
- 57 Die regverdigde en lojales sterf (1, 2)
Israel se geestelike prostitusie (3-13)
Vertrouing vir nederiges (14-21)
Godeloses soos onstuimige see (20)
Geen vrede vir goddeloses nie (21)
- 58 Opregte en onopregte vaste (1-12)
Om Sabbat te hou, bring vreugde (13, 14)
- 59 Israel se sondes skei hulle van God (1-8)
Sondes bely (9-15a)
Jehovah kom op vir dié wat berou toon (15b-21)
- 60 Jehovah se heerlikheid skyn op Sion (1-22)
Soos duive na hulle duiwehokke (8)
Goud in plek van koper (17)
Kleine sal duisend word (22)
- 61 Gesalf om goeie nuus te verkondig (1-11)
"Jaar van Jehovah se genade" (2)
"Groot bome van regverdigheid" (3)
Hulp van uitlanders (5)
"Priesters van Jehovah" (6)
- 62 Sion se nuwe naam (1-12)

- 63 Jehovah se wraak op nasies (1-6)
Jehovah se lojale liefde in verlede (7-14)
Gebed van berou (15-19)
- 64 Gebed van berou voortgesit (1-12)
Jehovah "ons Pottebakker" (8)
- 65 Jehovah se oordeel teen afgodediensars (1-16)
Geluksgod en god van die Noodlot (11)

- "My knegte sal eet" (13)
Nuwe hemele en nuwe aarde (17-25)
Huise bou en wingerde plant (21)
Niemand sal verniet hard werk nie (23)
- 66 Ware en valse aanbidding (1-6)
Sion en haar kinders (7-17)
Mense kom bymekaar om in Jerusalem te aanbid (18-24)

1 Die visioen wat Jesaja,^a die seun van Amos, in die tyd van Ussi'a,^b Jotam,^c Agas^d en Hiski'a,^e konings van Juda, ^f in verband met Juda en Jerusalem gesien het:

- 2** Hoor, o hemele, en luister, o aarde,^g want Jehovah het gesê: "Ek het kinders grootgemaak en opgevoed,^h maar hulle het teen my in opstand gekom.ⁱ
- 3** 'n Bul ken sy koper goed, en 'n donkie die krip van sy eienaar, maar Israel ken my* nie.^j My volk tree nie verstandig op nie."^k
- 4** Dit sal sleg gaan met die sondige nasie,^k die volk wat baie oortredings het, nakomelinge van goddelose mense, slegte kinders! Hulle het Jehovah verlaat,^l hulle het geen respek vir die Heilige van Israel getoon nie, hulle het hulle rug op hom gedraai.
- 5** Waar wil julle nog geslaan word? Hoekom bly julle opstandig?^m

- HFST. 1
- a 2Kr 32:32
- b 2Kr 26:22
Jes 6:1
- c 2Kr 27:1, 2
- d 2Kr 28:1
- e 2Kr 29:1, 2
2Kr 32:20
- f Mt 1:9
- g Ps 50:4
- h De 1:31
- i De 4:25, 26
Ese 20:8
- j Ho 4:6
- k Da 9:11
- l De 31:16
Jer 2:5
- m Jer 5:3

Tweede kol.

- a Ne 9:34, 35
Da 9:8
- b Lu 10:34
- c De 28:33, 63
- d 2Kn 18:11
- e 2Kn 18:13, 14
Jes 8:7, 8
- f Ge 19:24, 25
De 29:22, 23
Ro 9:29
- g Ge 13:13
Jes 3:8, 9

Die hele kop is siek, en die hele hart is aangetas.^a

- 6** Van kop tot tone is daar geen gesonde plek nie. Daar is wonde en kneusplekke en oop sere – hulle is nie skoongemaak* of verbind of met olie behandel nie.^b
- 7** Julle land is verlate. Julle stede is met vuur verbrand. Julle land word voor julle oë deur uitlanders gestroop.^c Dit is soos 'n land wat deur uitlanders verwoes is.^d
- 8** Die dogter van Sion het oorgebly soos 'n skuiling in 'n wingerd, soos 'n hut in 'n komkommerland, soos 'n beleërde stad.^e
- 9** As Jehovah van die leërmagte nie vir ons 'n paar oorlewendes laat oorbly het nie, sou ons net soos Sodom geword het en sou ons soos Gomor'ra gewees het.^f
- 10** Hoor die woord van Jehovah, regeerders* van Sodom.^g

1:1 *Beteken "redding van Jehovah".
1:3 *Of "sy meester".

1:6 *Lett. "uitgedruk". 1:10 *Of "diktators".

Luister na die wet* van ons God, volk van Gomor'ra.^a

- 11** “Van watter nut is al julle offerandes vir my?”^b sê Jehovah.
 “Ek het genoeg gehad van julle brandoffers van ramme^c en die vet van vetgevoerde diere.^d
 Ek wil nie die bloed^e van jong bulle^f en lammers en bokke^g hê nie.
- 12** Julle kom om voor my te verskyn,^h maar wie het julle gevra om my voorhowe te vertrap?ⁱ
- 13** Hou op om nog waardelose graanoffers te bring. Julle reukwerk is vir my afskuwelik.^j
 Nuwemane,^k sabbatte,^l die organisering van byeenkomste^m
 – ek kan dit nie verdra dat julle heilige vergaderinge hou en terselfdertyd toorkragⁿ gebruik nie.
- 14** Ek haat julle nuwemane en julle feeste.
 Dit het vir my 'n las geword. Ek kan dit nie meer verdra nie.
- 15** En wanneer julle julle hande na my toe uitsteek, kyk ek weg.^o
 Al bid julle hoe baie,^p luister ek nie.^q
 Julle hande is vol bloed.^r
- 16** Was julle, reinig julle,^s hou op om goddelose dinge voor my te doen.
 Hou op met julle slegte dade.^t
- 17** Leer om goed te doen, beoefen geregtigheid,^u wys die verdrukter tereg. Beskerm die regte van die weeskind*

1:10 *Of “onderrigting”. 1:17 *Lett. “vaderlose seun”.

HFST. 1

- a De 32:32
 Jud 7
 b 1Sa 15:22
 Spr 15:8
 Ho 6:6
 Mi 6:7
 c Eks 29:38
 d Le 3:14-16
 e Le 17:11
 f Le 4:18, 21
 g Le 16:5
 h De 16:16
 i Pr 5:1
 Mal 1:8
 j Spr 21:27
 Ese 8:11, 12
 k Nu 28:11
 l Eks 31:13
 m Le 23:2
 n Le 19:26
 o Spr 15:29
 p Mt 6:7
 q Spr 28:9
 Jes 59:2
 Klg 3:44
 r Mi 3:2-4
 s Jer 4:14
 t Jes 55:7
 u Mi 6:8

Tweede kol.

- a De 10:18
 Jer 22:3
 b Mi 6:2
 Jak 4:8
 c Ps 51:7
 Jes 44:22
 Mi 7:19
 d De 28:1, 2
 Jl 2:19
 e Le 26:33
 Spr 29:1
 f Ps 48:2
 g Jer 2:20
 h 2Sa 8:15
 1Kn 3:28
 i 2Kr 19:9, 10
 j Mi 3:1-3
 Lu 13:34
 k Ese 22:18
 l Jes 3:14
 Mi 3:9-11
 m Eks 23:8
 n Eks 22:22
 Jer 5:28
 o Ese 5:13

en verdedig die regspraak van die weduwee.”^a

- 18** “Kom, laat ons sake regstel tussen ons,” sê Jehovah.^b
 “Al is julle sondes so rooi soos skarlaken, sal dit so wit soos sneeu gemaak word.^c
 Al is dit so rooi soos bloed, sal dit so wit soos wol word.
- 19** As julle gewillig is om te luister, sal julle die goeie dinge van die land eet.^d
- 20** Maar as julle weier en opstandig is, sal julle deur die swaard doodgemaak word,^e want dit is wat Jehovah gesê het.”
- 21** Die getroue stad^f het 'n prostituee geword!^g
 Sy was vol geregtigheid,^h en regverdigheid het in haar gewoon,ⁱ maar nou is daar moordenaars.^j
- 22** Jou silwer het metaalskuim geword,^k en jou bier* is met water verdun.
- 23** Jou leiers is hardkoppig en werk saam met die we.^l
 Elkeen van hulle is lief vir 'n omkoopgeskenk en soek belonings.^m
 Hulle laat die weeskinders* nie geregtigheid kry nie, en hulle luister nie na die regspraak van die weduwee nie.ⁿ
- 24** Daarom sê die ware Heer, Jehovah van die leer-magte, die Magtige van Israel:
 “Ek sal ontslae raak van my teenstanders, en ek sal wraak neem op my vyande.^o

1:22 *Of “koringbier”. 1:23 *Lett. “vaderlose seuns”.

- 25** Ek sal jou straf,
en ek sal jou metaalskuim
heeltemal laat wegsmelt,
en ek sal al jou onsuiver-
hede verwyder.^a
- 26** Ek sal jou weer regters gee
soos vroeër,
en raadgewers soos in
die begin.^b
Daarna sal jy genoem word:
Stad van Regverdigheid,
Getroue Stad.^c
- 27** Sion sal deur geregtigheid
verlos word,^d
en haar inwoners wat terug-
keer, deur regverdigheid.
- 28** Die opstandiges en die son-
daars sal saam vernietig
word,^e
en dié wat Jehovah verlaat,
sal aan hulle einde kom.^f
- 29** Want hulle sal hulle skaam
oor die magtige bome wat
julle begeer het,^g
en julle sal verneder voel
weens die tuine* wat julle
gekies het.^h
- 30** Want julle sal word soos
'n groot boom waarvan
die blare verlepⁱ
en soos 'n tuin sonder
water.
- 31** Die sterk man sal soos
strooi* word,
en sy werk soos 'n vonk.
Hulle sal al twee saam in
vlamme opgaan,
en niemand sal die vuur
blus nie.”
- 2** Dit is wat Jesaja, die seun
van Amos, in verband met
Juda en Jerusalem gesien het:^j
- 2** Aan die einde van die dae*
sal die berg van die huis
van Jehovah
stewig gevestig word bo die
top van die berge,^k

1:29 *Verwys moontlik na bome en tui-
ne wat met afgodediens verband ge-
hou het. 1:31 *Of “vlasvesels”. 2:2
*Of “In die laaste dae”.

HFST. 1
a Jer 6:29, 30
Jer 9:7
Mal 3:3
b Nu 12:3
1Sa 12:1, 3
Jes 32:1
Ese 34:23
c Jes 62:1
d Jer 31:11
e Ese 20:38
f 1Kn 9:6, 7
g Ese 6:13
h Jes 65:3
Jes 66:17
i Jer 17:5, 6

HFST. 2
j Jes 1:1
k Sag 8:3

Tweede kol.
a Ps 72:1, 8
Ps 86:9
Mi 4:1-3
Hag 2:7
Han 10:34, 35
b Sag 8:23
c Jes 54:13
d Jes 51:4
e Ps 46:9
f Ps 72:7
Jes 60:18
Mt 26:52
g Jes 60:19, 20
h De 31:16, 17
i De 18:10
j De 17:15, 16
k 2Kr 28:1, 2
2Kr 33:1, 7

- en dit sal bo die heuwels
uitstaan,
en al die nasies sal daar-
heen stroom.^a
- 3** En baie volke sal gaan en sê:
“Kom, laat ons opgaan na
die berg van Jehovah,
na die huis van die God
van Jakob.^b
Hy sal ons sy weë leer,
en ons sal dit volg.”^c
Want die wet* sal uit Sion
kom,
en die woord van Jehovah
uit Jerusalem.^d
- 4** Hy sal oordeel tussen die
nasies
en sake regstel in verband
met baie volke.
Hulle sal ploegskare maak
van hulle swaarde,
en snoeimesse van hulle
spiese.^e
Nasie sal nie teen nasie die
swaard opneem nie,
en hulle sal ook nie meer
leer om oorlog te voer
nie.^f
- 5** O huis van Jakob, kom,
laat ons op Jehovah se weg
van lig bly.^g
- 6** Want u het u volk, die huis
van Jakob, verstoot^h
omdat hulle baie dinge uit
die Ooste oorgeneem het.
Hulle beoefen toorkunsⁱ
soos die Filistyne,
en daar is baie uitlandse
kinders onder hulle.
- 7** Hulle land is vol silwer
en goud,
en daar is geen einde aan
hulle skatte nie.
Hulle land is vol perde,
en daar is geen einde aan
hulle strydwagens nie.^j
- 8** Hulle land is vol waardelose
gode.^k
- 2:3** *Of “onderrigting”.

- Hulle buig voor die werk van hulle eie hande neer, voor wat hulle eie vingers gemaak het.
- 9** Die mens buig neer, hy verlaag hom.
Hoe kan u hulle ooit vergewe?
- 10** Gaan in die rotse in en kruip in die grond weg weens die skrikwekkende teenwoordigheid van Jehovah en weens sy groot heerlikheid.^a
- 11** Die hoogmoediges sal hulle koppe moet laat sak, en trotse mense sal neerbuig.*
Jehovah alleen sal in daardie dag verheerlik word.
- 12** Want dit is die dag wat aan Jehovah van die leërmagte behoort.^b
Dit sal elkeen tref wat hoogmoedig en trots is, almal, of hulle belangrik of onbelangrik is,^c
- 13** al die sederbome van die Li'banon-berge wat hoog en verhewe is en al die eikebome van Basan,
- 14** al die hoë berge en al die hoë heuwels,
- 15** elke hoë toring en elke versterkte muur,
- 16** al die skepe van Tarsis^d en al die kosbare bote.
- 17** Hoogmoedige mense sal verlaag word, en trotse mense sal laag buig.*
Jehovah alleen sal in daardie dag verheerlik word.
- 18** Die waardelose gode sal heeltetal verdwyn.^e
- 19** En mense sal in die grotte in die rotse

2:11, 17 *Of "verneder word".

HFST. 2

a Eks 20:18

b Sef 1:4, 7

c Jes 66:16

d 1Kn 10:22
Ese 27:25

e Jes 27:9

Tweede kol.

a Op 6:15

b Jes 2:10
2Te 1:9

c Jes 30:22
Jes 31:7

HFST. 3

d Le 26:26
De 28:49, 51
Jer 37:21
Ese 4:16

e Ese 13:9

f Eks 18:21

g De 18:10, 12
Jes 8:19

- en in die gate in die grond ingaan^a
weens die skrikwekkende teenwoordigheid van Jehovah
en weens sy groot heerlikheid,^b
wanneer hy kom om die aarde van vrees te laat bewe.
- 20** In daardie dag sal mense hulle waardelose gode van silwer en van goud wat hulle vir hulle gemaak het om voor neer te buig, vir die skeerbekmuise* en vir die vlermuise gooi,^c
- 21** en hulle sal in die holtes in die rotse en in die skeure van die kranse ingaan weens die skrikwekkende teenwoordigheid van Jehovah
en weens sy groot heerlikheid,
wanneer hy kom om die aarde van vrees te laat bewe.
- 22** Om julle eie onthalwe moet julle ophou om op blote mense te vertrou, want hulle is maar net soos die asem in hulle neusgate.*
Hoekom moet hulle in aanmerking geneem word?
- 3** Want kyk! die ware Heer, Jehovah van die leërmagte, verwyder uit Jerusalem en uit Juda alle ondersteuning en voorrade, al die kos- en watervoorrade,^d
- 2** sterk man en soldaat, regter en profeet,^e waarsêer en ouerman,
- 3** hoof oor 50,^f hoë amptenaar en raadgever, vaardige towenaar en ervaare slangbesweerder.^g

2:20 *Gulsige soogdiertjies. 2:22 *Of "wie se asem in hulle neusgate is".

- 4** Ek sal seuns hulle leiers maak, en onbetroubare mense* sal oor hulle regeer.
- 5** Die mense sal mekaar onderdruk, elkeen sy medemens.^a Die seun sal die ou man aanval, en die onbelangrike persoon sal in opstand kom teen die gerespekteerde persoon.^b
- 6** Elkeen sal sy broer in sy pa se huis vasgryp en sê: “Jy het 'n mantel. Jy moet ons leier word. Regeer oor hierdie verwoeste plek.”
- 7** Maar in daardie dag sal hy beswaar maak en sê: “Ek gaan nie julle wonde verbind* nie. Ek het geen kos of klere in my huis nie. Julle moet my nie as leier oor die volk aanstel nie.”
- 8** Want Jerusalem het gestruikel en Juda het geval omdat hulle in woord en daad teen Jehovah is. Hulle gedra hulle opstandig in sy glorieryke teenwoordigheid.^c
- 9** Hulle gesigsuitdrukking getuig teen hulle, en soos Sodom verkondig hulle hulle sonde.^d Hulle probeer dit nie wegsteek nie. Dit sal sleg gaan met hulle!* Want hulle bring rampspoed oor hulleself!
- 10** Sê vir die regverdiges dat dit met hulle sal goed gaan.

3:4 *Of “mense wat geen stabiliteit het nie”. 3:7 *Of “julle generes wees”. 3:9 *Of “hulle sie!”.

HFST. 3

a Jer 9:4, 5
Mi 3:2, 3

b Le 19:32

c 2Kr 33:1, 6
Ese 9:9

d Ge 18:20
Jes 1:10
Jud 7

Tweede kol.

a Pr 8:12
Sef 2:3

b Jer 5:31
Hab 1:4

c Jes 1:23
Jer 5:26-28
Mi 2:1, 2
Mi 6:10

d Mi 3:2, 3

e Jes 3:24

Hulle sal beloon word vir hulle dade.*^a

- 11** Dit sal sleg gaan met die goddelose!
Rampspoed sal hom tref, want wat hy aan ander gedoen het, sal aan hom gedoen word!
- 12** My volk word deur hulle opsigters onderdruk, en vrouens regeer oor hulle. My volk, julle leiers laat julle ronddwaal, en hulle bring julle op 'n dwaalspoor.^b
- 13** Jehovah neem sy plek in om sy regsak te voer. Hy staan op om volke te vonnis.
- 14** Jehovah sal die ouermanne en die leiers van sy volk oordeel.
“Julle het die wingerd afgebrand, en wat julle van die armes gesteel het, is in julle huise.^c”
- 15** Hoe durf julle my volk onderdruk en die armes in die stof vertrap? ^d sê die Soewe-reine Heer, Jehovah van die leërmagte.
- 16** Jehovah sê: “Omdat die dogters van Sion hoogmoedig is, neus in die lug loop, verleidelik na ander kyk, rondtrippel en hulle enkelkettinkies laat klingel,
- 17** sal Jehovah die kop van die dogters van Sion skurf* laat word, en Jehovah sal hulle bles maak.^e”
- 18** In daardie dag sal Jehovah hulle versierings wegneem:

3:10 *Lett. “die vrug van hulle dade eet”. 3:17 *Of “vol rowe”.

- die enkelringe, die hoofbande en die halfmaan-vormige versierings,^a
- 19** die oorbelle,* die armbande en die sluiers,
- 20** die kopversierings, die enkelkettinkies en die borsbande, die parfuumflessies en die gelukbringertjies,
- 21** die vingerringe en die neusringe,
- 22** die feesklere, die oorklere, die mantels en die handsakkies,
- 23** die handspieëls^b en die linneklere,* die tulbande en die sluiers.
- 24** In plaas van balsemolie^c sal daar 'n vrot reuk wees, in plaas van 'n lyfband 'n rou; in plaas van 'n pragtige haarstyl 'n kaalkop;^d in plaas van duur klere saklinne^e en in plaas van skoonheid 'n brandmerk.
- 25** Jou manne sal deur die swaard doodgemaak word, en jou sterk manne in die oorlog.^f
- 26** Haar ingange sal treur en rou,^g en sy sal verlate op die grond sit.^h
- 4** En sewe vrouens sal in daardie dag een man vasgrypⁱ en sê:
- “Ons sal ons eie brood eet en ons eie klere dra. Laat ons net jou naam dra om ons skande* weg te neem.”^j
- 2** In daardie dag sal dit wat Jehovah laat uitspruit, pragtig en skitterend wees, en die vrug

3:19 *Of “hangertjies”. 3:23 *Of “on-derklere”. 4:1 *D.w.s. die vernedering om ongetroud en kinderloos te wees.

HFST. 3

a Rig 8:26

b Eks 38:8

c Est 2:12

d Mi 1:16

e Klg 2:10

f Klg 2:21

g Klg 1:4

h Klg 2:10

HFST. 4

i Jes 3:25

j Ge 30:22, 23
Lu 1:24, 25

Tweede kol.

a Jes 30:23
Jl 3:18
Sag 9:17

b Eks 32:32, 33

c Ese 36:25

d Ese 22:20-22

e Eks 13:21
Nu 9:15
Sag 2:4, 5

f Ps 121:5

g Jes 25:4

HFST. 5

h Ps 80:8
Jes 5:7
Jer 2:21
Lu 20:9

i Mt 21:33
Mr 12:1

j Ho 10:1

van die land sal die trots en prag van die oorlewendes van Israel wees.^a **3** Dié wat in Sion oorbly en in Jerusalem oor is, sal heilig genoem word, elkeen in Jerusalem wat opgeskryf is om te bly lewe.^b

4 Wanneer Jehovah die vuilheid* van die dogters van Sion afwas^c en die bloedskuld van Jerusalem uit haar wegspoel deur sy brandende woede^d en sy oordeel, **5** sal Jehovah oor die hele gebied van die berg Sion en oor die plek waar mense in haar bymekaarkom, 'n wolk en rook in die dag skep, en in die nag 'n vuur wat helder brand.^e Want oor die hele glorieryke plek sal daar 'n beskutting wees. **6** En daar sal 'n hut wees wat in die dag skaduwee teen die hitte bied,^f sowel as skuiling en beskerming teen storms en die reën.^g

5 Ek wil graag vir my geliefde sing.

Ek wil 'n lied sing oor die een wat ek liefhet en sy wingerd.^h

My geliefde het 'n wingerd teen 'n vrugbare heuwel gehad.

2 Hy het dit omgespit en die klippe daaruit verwyder.

Hy het die beste rooi wingerdstokke daarin geplant,

en 'n toring in die middel daarvan gebou.

Hy het ook 'n wynpers daarin uitgekap.ⁱ

Hy het bly hoop dat dit druiwe sou voortbring, maar dit het net wilde druiwe voortgebring.^j

3 “En nou, inwoners van Jerusalem en manne van Juda,

4:4 *Lett. “ontlasting”. #Of “deur 'n gees van suiwing”.

oordeel asseblief tussen my en my wingerd.^a

- 4** Wat kon ek nog vir my wingerd gedoen het wat ek nie reeds gedoen het nie?^b
Ek het gehoop dat dit goeie druiwe sou voortbring, maar hoekom het dit net wilde druiwe voortgebring?
- 5** Ek sal vir julle sê wat ek met my wingerd gaan doen:
Ek gaan sy heining verwyder, en dit sal afgebrand word.^c
Ek gaan sy klipmuur afbreek, en dit sal vertrap word.
- 6** Ek sal dit 'n wildernis maak.^d
Dit sal nie gesnoei of omgespit word nie.
Doringbosse en onkruid sal dit toegroei,^e en ek sal die wolke beveel om geen reën daarop te laat val nie.^f
- 7** Want die wingerd van Jehovah van die leërmagte is die huis van Israel.^g
Die manne van Juda is die wingerd waarvoor hy lief was.
Hy het bly hoop op geregtigheid,^h maar daar was net ongeregtigheid.
Hy het bly hoop op geregtigheid, maar daar was net 'n geroep om hulp.ⁱ
- 8** Dit sal sleg gaan met dié wat een huis ná die ander oorneem,^j en een veld ná die ander,^k totdat daar nie meer plek vir ander is nie en hulle die enigste inwoners in die land is!

HFST. 5

a Mi 6:2

b 2Kr 36:15
Ese 24:13

c Le 26:31, 33
Ne 2:3
Ps 79:1

d De 29:22, 23
Jer 25:11
Jer 45:4

e Jes 32:13

f De 11:16, 17

g Ps 80:8
Jer 12:10

h Mi 6:8

i De 15:9

j Mi 2:1, 2

k 1Kn 21:15, 16

Tweede kol.

a 2Kr 36:20, 21
Jes 27:10

b De 28:15, 17
Jl 1:17

c Lu 21:34
Ro 13:13

d Jes 27:11
Jer 8:7
Ho 4:6

e Klg 4:9

f De 28:63

- 9** Ek het Jehovah van die leërmagte hoor sweer dat baie huise, al is hulle groot en mooi, iets skokkendes sal word, sonder 'n inwoner.^a
- 10** Want tien akker* wingerd sal net een bat* oplewer, en 'n homer* saad sal net 'n efa* oplewer.^b
- 11** Dit sal sleg gaan met dié wat vroeg in die oggend opstaan om alkohol te drink,^c met dié wat hulle tot laat in die aand dronk drink!
- 12** Hulle het harpe en ander snaarinstrumente, tamboeryne, fluite en wyn by hulle feeste, maar hulle dink nie aan wat Jehovah doen nie, en hulle sien nie die werk van sy hande nie.
- 13** Daarom sal my volk in ballingskap gaan omdat hulle nie kennis het nie.^d
Hulle geëerde manne sal honger ly^e en die hele volk sal dors wees.
- 14** Daarom het die Graf* homself groter gemaak en sy mond wawyd oopgemaak,^f en die belangrike mense* van die stad, haar raserige menigtes en dié wat feesvier, sal beslis daarin afdal.
- 15** Die mens sal neerbuig, hy sal verneder word, en die hoogmoediges sal hulle koppe moet laat sak.
- 16** Jehovah van die leërmagte sal deur sy oordeel* verheerlik word.

5:10 *Omtrent 4 hektaar. #Sien Aanh. B14. **5:14** *Of "Sjeool". Sien Woordelys. #Of "die prag". **5:16** *Of "geregtigheid".

Die ware God, die Heilige,^a
sal homself heilig deur
regverdigheid.^b

- 17** En die lammers sal wei asof
dit hulle eie weiveld is.
Uitlanders sal eet by die
verwoeste plekke waar
daar voorheen vetgevoer-
de diere was.
- 18** Dit sal sleg gaan met dié wat
hulle skuld met toue van
bedrog saamsleep,
en hulle sonde met wa-toue,
19 met dié wat sê: "Laat Hy
gou maak met sy werk.
Laat dit gou kom, sodat
ons dit kan sien.
Laat die voorneme* van die
Heilige van Israel uitge-
voer word,
sodat ons dit kan weet!"^c
- 20** Dit sal sleg gaan met dié
wat sê dat goed sleg is en
sleg goed,^d
dié wat duisternis met lig
vervang en lig met duis-
ternis,
dié wat bitter met soet ver-
vang en soet met bitter!
- 21** Dit sal sleg gaan met dié wat
wys is in hulle eie oë
en wat dink dat hulle ver-
standig is!^e
- 22** Dit sal sleg gaan met dié
wat helde is wanneer dit
by wyndrinking kom
en met die manne wat goed
is daarmee om sterk drank
te meng,^f
- 23** met dié wat die goddelose
vir 'n omkoopgeskenk
vryspreek^g
en wat die regverdige nie
geregtigheid laat kry nie!^h
- 24** Daarom, net soos stoppels
deur vuur verteer word
en droë gras deur vlamme
verskroei word,
sal hulle wortels verrot

5:19 *Of "besluit; raad".

HFST. 5

a Jes 6:3
Op 4:8

b De 32:4

c Jer 5:12
Jer 17:15
Ese 12:22

d Spr 17:15
Mal 2:17

e Spr 3:7
Ro 12:16

f Spr 23:20
Spr 31:4, 5

g De 16:19
Jes 1:23
Mi 3:11

h 1Kn 21:13
Spr 17:15

Tweede kol.

a De 31:20
2Kn 17:13, 14
Ne 9:26
Jes 1:4

b De 31:16, 17
2Kr 36:15, 16
Klg 2:2

c Jer 16:4

d Jer 52:4

e De 28:49, 50
Jer 5:15

f Jer 4:13

g Hab 1:8

h Jer 50:17

en sal hulle bloeisels soos
poeier wegwaai,
omdat hulle die wet* van
Jehovah van die leërmagte
verwerp het
en geen respek getoon het
vir die woord van die
Heilige van Israel nie.^a

- 25** Daarom is Jehovah woe-
dend vir sy volk,
en hy sal sy hand uitsteek
om hulle te straf.^b
Die berge sal bewe.
Hulle lyke sal soos vullis in
die strate wees.^c
Weens alles wat hulle ge-
doen het, het sy woede
nie bedaar nie,
maar sy hand is nog steeds
uitgesteek om hulle te
straf.

- 26** Hy het 'n banier* opgerig
vir 'n nasie wat ver is.^d
Hy het gefluit om hulle van
die eindes van die aarde
af te laat kom.^e
En kyk! Hulle kom vinnig.^f

- 27** Nie een van hulle is moeg
of struikel nie.
Nie een is lomerig of
slaap nie.
Die lyfband om hulle middel
is nie losgemaak nie
en die rieme van hulle san-
dale is nie stukkend nie.

- 28** Al hulle pyle is skerp,
en al hulle boë is gespan,
reg om te skiet.
Die hoewe van hulle perde
is soos vuurklip,
en hulle wiele is soos
'n stormwind.^g
- 29** Hulle gebrul is soos dié van
'n leeu.
Hulle brul soos jong leeus.*^h
Hulle sal grom en die prooi
gryp.

5:24 *Of "onderrigting". 5:26 *Of
"seinpaal". 5:29 *Of "jong maan-
haarleeus".

Hulle sal dit wegdra, en daar sal niemand wees om dit te red nie.

30 In daardie dag sal hulle daarvoor grom soos die gegrom van die see.^a

Enigiemand wat na die land kyk, sal verskriklike duisternis sien.

Selfs die lig het donker geword as gevolg van die wolke.^b

6 In die jaar dat koning Ussi'a gesterf het,^c het ek Jehovah op 'n hoë en verhewe troon sien sit,^d en die some van sy kleed het die tempel gevul. **2** Serafs het bokant hom gestaan. Elkeen het ses vlerke gehad. Elkeen het sy gesig met twee vlerke bedek, sy voete met twee vlerke bedek en twee vlerke gebruik om te vlieg.

3 En hulle het na mekaar toe uitgeroep:

“Heilig, heilig, heilig is Jehovah van die leërmagte.^e
Die hele aarde is vol van sy heerlikheid.”

4 En die deure* het geskud weens die geroep, en die huis het vol rook geword.^f

5 Toe het ek gesê: “Dit is verby met my!

Ek is so goed as dood, want ek is 'n man met onrein lippe, en ek woon onder 'n volk met onrein lippe.^g

En nou het ek die Koning, Jehovah van die leërmagte, met my eie oë gesien!”

6 Toe het een van die serafs na my toe gevlieg, en in sy hand was 'n gloeiende kool^h wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het.ⁱ **7** Hy het aan my mond geraak en gesê:

6:4 *Of “die spille in die drumpels”.

HFST. 5

a Jer 6:23

b Jer 4:23

HFST. 6

c 2Kr 26:23

d 1Kn 22:19
Da 7:9

e Eks 15:11
Op 4:8

f Op 15:8

g Jes 29:13

h Ese 10:2

i Op 8:5

Tweede kol.

a Ge 1:26
Joh 1:1, 2
Joh 12:41

b Ps 110:3
Mt 4:19, 20

c Jer 5:21
Mt 13:14
Lu 8:9, 10
Han 28:25, 26

d Ese 3:7

e Jer 6:10
Joh 3:20

f Mt 13:15
Han 28:27

g 2Kr 36:20, 21
Jes 3:26
Jes 24:1

h 2Kn 25:11

“Kyk! Dit het aan jou lippe geraak.

Jou skuld is weggeneem, en daar is vir jou sonde versoening gedoen.”

8 Toe het ek die stem van Jehovah hoor vra: “Wie sal ek stuur, en wie sal vir ons gaan?”^a En ek het gesê: “Hier is ek! Stuur my!”^b

9 En hy het gesê: “Gaan sê vir hierdie volk:

‘Julle sal keer op keer hoor, maar julle sal nie verstaan nie.

Julle sal keer op keer sien, maar julle sal geen kennis verkry nie.’^c

10 Maak die hart van hierdie volk ongevoelig,^d laat hulle ore toegaan,^e en maak hulle oë toe, sodat hulle nie met hulle oë sien

en met hulle ore hoor nie, en sodat hulle hart nie verstaan nie,

en sodat hulle nie terugdraai en genees word nie.”^f

11 Toe het ek gevra: “Hoe lank, o Jehovah?” En hy het gesê:

“Totdat die stede verwoes en sonder inwoners is en die huise sonder mense is en die land verwoes en verlate is;^g

12 totdat Jehovah die mense ver weg laat gaan^h en daar groot verlatenheid in die land is.

13 “Maar daar sal nog 'n tiende daarin oor wees, en dit sal weer verbrand word, soos 'n groot boom en soos 'n eikeboom, waarvan daar 'n stomp oorbly nadat dit afgekap is. Die stomp sal 'n heilige saad* wees.”

6:13 *Of “nageslag”.

7 En in die tyd van Agas,^a die seun van Jotam, die seun van Ussi'a, die koning van Juda, het koning Resin van Sirië saam met koning Peka^b van Israel, die seun van Rema'lia, teen Jerusalem opgetrek om oorlog te voer, maar hulle* kon dit nie inneem nie.^c **2** Toe het die huis van Dawid die volgende boodskap ontvang: "Sirië het met E'fraim saamgespan."

En Agas en sy volk het bang geword, hulle het gebewe soos die bome van die woud in die wind.

3 Jehovah het toe vir Jesaja gesê: "Neem jou seun Sear-Jasub^d saam met jou en gaan ontmoet Agas asseblief by die end van die kanaal van die boonste dam^e langs die grootpad van die wassersveld. **4** Jy moet vir hom sê: 'Bly kalm. Moenie bang wees nie, en moenie moed verloor weens hierdie twee smeulende stompe nie, weens die brandende woede van Resin, die koning van Sirië, en die seun van Rema'lia nie.^f **5** Want Sirië het saam met E'fraim en die seun van Rema'lia slegte planne teen jou beraam en gesê: **6** "Laat ons teen Juda optrek en dit uitmekaarskeur* en dit verower, en laat ons die seun van Ta'beël as koning daarvoor aanstel."^g

7 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

"Dit sal nie plaasvind nie.
Dit sal nie gebeur nie.

8 Want die hoof van Sirië is Damaskus,
en die hoof van Damaskus is Resin.

Binne slegs 65 jaar
sal E'fraim heeltemal verpletter word en ophou om as 'n volk te bestaan.^h

HFST. 7

a 2Kn 16:1, 2

b 2Kn 15:37
2Kr 28:6

c 2Kn 16:5

d Jes 8:18

e 2Kn 18:17

f 2Kn 15:30
Jes 8:6, 7

g 2Kn 16:5

h 2Kn 17:6
Ho 1:6

Tweede kol.

a 1Kn 16:23, 24

b 2Kn 15:27

c Rig 6:36, 37
Jes 37:30
Jes 38:7, 8

d 2Kr 36:15, 16

e Jes 9:6
Joh 1:14
1Ti 3:16

f Mt 1:23
Lu 1:30-35

g 2Kn 15:29
2Kn 16:8, 9
Jes 8:3, 4
Jes 17:1

h 1Kn 12:20

i 2Kn 18:13, 14
2Kr 28:19, 20
Jes 36:1

9 Die hoof van E'fraim is Samari'a,^a
en die hoof van Samari'a is die seun van Rema'lia.^b
As julle nie sterk geloof het nie,
sal julle nie veilig wees nie."^c

10 Jehovah het verder vir Agas gesê: **11** "Vra Jehovah jou God vir 'n teken.^c Dit kan so diep soos die Graf* of so hoog soos die hemel wees." **12** Maar Agas het gesê: "Ek sal nie vra nie, en ek sal Jehovah nie toets nie."

13 Jesaja het toe gesê: "Luis-ter asseblief, o huis van Dawid. Is dit nie genoeg dat julle mense se geduld toets nie? Moet julle ook God se geduld toets?^d

14 Daarom sal Jehovah self vir julle 'n teken gee: Kyk! Die jong vrou sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun,^e en sy sal hom Imma'nuel* noem.^f

15 Hy sal botter en heuning eet teen die tyd dat hy weet hoe om die slegte te verwerp en die goeie te kies. **16** Want voordat die seun weet hoe om die slegte te verwerp en die goeie te kies, sal die land van die twee konings vir wie jy so bang is, heeltemal verlate wees.^g **17** Jehovah sal 'n moeilike tyd oor jou en oor jou volk en oor die huis van jou pa laat kom. 'n Tyd soos daar nie was vandat E'fraim van Juda weggebreek het nie,^h want Hy sal die koning van Assi'rië teen julle stuur.ⁱ

18 "In daardie dag sal Jehovah fluit vir die vlieë van die verste sytakke van die Nyl in Egipte en vir die bye in die land Assi'rië, **19** en hulle sal almal kom en gaan sit in die diep valleie,* in die rotsskeure, op

7:1 *Of moontlik "hy". 7:3 *Beteken "net 'n oorblyfsel sal terugkeer". 7:6 *Of moontlik "die mense bang maak".

7:11 *Of "Sjeeol". Sien Wordelys. 7:14 *Beteken "God is met ons". 7:19 *Of "wadi's". Sien Wordelys.

al die doringbosse en op al die drinkplekke.

20 "In daardie dag sal Jehovah deur middel van 'n gehuurde skeermes uit die streek van die Rivier,* deur middel van die koning van Assirië,^a die kop en die beenhare skeer en selfs die baard afskeer.

21 "In daardie dag sal 'n man 'n jong koei en twee skape aan die lewe hou. **22** En weens die oorfloed van melk sal hy botter eet. Almal wat in die land oorbly, sal botter en heuning eet.

23 "In daardie dag sal daar net doringbosse en onkruid wees waar daar vroeër 1000 wingerdstokke was wat 1000 silwerstukke werd was. **24** Manne sal soontoe gaan met pyle en boë, want die hele land sal met doringbosse en onkruid bedek wees. **25** En jy sal nie naby die gebied gaan van al die berge wat voorheen met 'n skoffel bewerk is nie, want dit sal bedek wees met doringbosse en onkruid. Dit sal 'n plek word waar bulle wei en skape die grond vertrap."

8 Jehovah het vir my gesê: "Neem 'n groot skryfplank^b en skryf duidelik* daarop: 'Maher-Salal-Has-Bas.'[#] **2** En ek wil hê dat dit skriftelik deur betroubare getuies bevestig moet word, naamlik deur die priester Uri'a en Sagari'a, die seun van Jebereg'ja."

3 Toe het ek by my vrou, die profetes, geslaap, en sy het swanger geword en ná verloop van tyd geboorte gegee aan 'n seun.^d Jehovah het toe vir my gesê: "Noem hom Maher-Salal-Has-Bas, **4** want voordat die seun 'Pappal' en 'Mammal' kan

7:20; 8:7 *Die Eufraatrivier. 8:1 *Of "met 'n gewone stif". [#]Betekend moontlik "vinnig na die buit, haastig na die plundering".

HFST. 7
a 2Kn 16:7

HFST. 8
b Jes 30:8

c 2Kn 16:10

d Jes 8:18

Tweede kol.

a 2Kn 15:29
2Kn 16:8, 9
2Kn 17:6
Jes 7:16
Jes 17:1

b 2Kn 17:16
Jer 17:13

c Jes 7:1

d 2Kn 17:5
2Kn 18:9

e 2Kr 28:19, 20
Jes 7:17, 20
Jes 10:28-32

f Jes 7:14
Mt 1:23

g 2Kr 32:21

h De 20:1
Ps 44:3

sê, sal die rykdom van Damaskus en die buit van Samari'a voor die koning van Assirië weggedra word."^a

5 Jehovah het weer met my gepraat en gesê:

6 "Omdat hierdie volk die rustige waters van die Silo'a* verwerp het^b en bly is oor Resin en die seun van Rema'lia,^c

7 daarom sal Jehovah die magtige watermassas van die Rivier* teen hulle bring,

die koning van Assirië^d en al sy heerlikheid.

Hy sal oor al sy stroombeddings spoel

en al sy oewers oorstrom

8 en die hele Juda binnedring.

Hy sal die land oorstrom en daardeur vloei, en die waters sal skouerhoogte* bereik.^e

Sy uitgespreide vlerke sal die breedte van jou land vul,

o Imma'nuel!"^{#f}

9 Rig skade aan, o volke, maar julle sal verpletter word.

Luister, almal wat in die afgeleë dele van die aarde is!

Maak gereed vir oorlog,* maar julle sal verpletter word!^g

Maak gereed vir oorlog, maar julle sal verpletter word!

10 Beraam 'n plan, maar dit sal misluk!

Sê wat julle wil, maar dit sal nie suksesvol wees nie, want God is met ons!^{*h}

11 Jehovah se sterk hand was op my toe hy die volgende

8:6 *Die Siloa was 'n waterkanaal. 8:8 *Of "die nek". [#]Sien Jes 7:14. 8:9 *Of "Omgord julle". 8:10 *"God is met ons" is Immanuel in Hebreeus. Sien Jes 7:14; 8:8.

vir my gesê het om my te waar-
sku om nie die weg van hierdie
volk te volg nie:

12 “Moenie alles wat hierdie
volk ’n sameswering
noem, as ’n sameswering
beskou nie!

Moenie vrees wat hulle
vrees nie.

Moenie daarvoor bang
wees nie.

13 Jehovah van die leërmagte
– hy is die Een wat julle as
heilig moet beskou,^a

hy is die Een wat julle moet
vrees

en hy is die Een vir wie julle
bang moet wees.”^b

14 Hy sal ’n skuilplek* word,
maar ook ’n steen van
struikeling

en ’n rots om oor te val^c
vir al twee huise van Israel,
sowel as ’n vangnet en
’n strik

vir die inwoners van
Jerusalem.

15 Baie van hulle sal struikel
en val en seerkry.

Hulle sal verstrikt word en
gevang word.

16 Rol die boekrol met die
skriftelike bevesti-
ging* op.

Plaas ’n seël op die wet^f
onder my dissipels!

17 Ek sal gretig bly wag op
Jehovah,^d wat weggedraai het
van* die huis van Jakob,^e en ek
sal op hom hoop.

18 Kyk! Ek en die kinders
wat Jehovah my gegee het,^f is
in Israel soos tekens^g en won-
derwerke van Jehovah van die
leërmagte, wat op die berg Sion
 woon.

8:14 *Lett. “heiligheidm”. **8:16** *Of “die
getuienis”. ^fOf “onderrigting”. **8:17**
*Lett. “sy aangesig verberg vir”.

HFST. 8

a Le 10:3
Le 22:32

b Pr 12:13
Mt 10:28

c Mt 21:42, 44
Lu 20:17, 18
Ro 9:31-33
1Kor 1:23
1Pe 2:7, 8

d Ps 33:20

e De 31:16, 17
Mi 3:4

f Heb 2:13

g Jes 7:14, 16
Jes 8:3, 4

Tweede kol.

a Le 20:6
De 18:10, 11
Ps 146:4
Pr 9:5, 10

b Spr 4:19

c De 28:15, 48

HFST. 9

d 2Kn 15:29

e Mt 4:13-16
Lu 1:78, 79
Lu 2:30-32
Joh 1:9
Joh 8:12

19 Hulle sal miskien vir julle
sê: “Raadpleeg mense wat gees-
te oproep* of fortuinvertellers
wat piep en mompel.” Maar
moet ’n volk nie sy God raad-
pleeg nie? Moet hulle die dooi-
es raadpleeg vir die lewendes?^a

20 Hulle moet eerder die wet
en die skriftelike bevestiging
raadpleeg!

As hulle woorde nie hier-
mee ooreenstem nie, het hulle
geen lig* nie.^b **21** En elkeen sal
swaarkry en honger ly^c terwyl
hy deur die land trek. En omdat
hy honger en kwaad is, sal hy
boontoe kyk en sy koning en sy
God vervloek. **22** Dan sal hy
na die aarde kyk en net swaar-
kry en duisternis sien, diep ska-
duwee en moeilike tye, donker-
te en geen lig nie.

9 Maar die donkerte sal nie
wees soos in vroeër tye toe
daar swaarkry in die land was
nie, toe die land van Se’bulon
en die land van Naf’tali verne-
der is nie.^d Maar later sal Hy
sorg dat daardie land – die pad
by die see, die Jordaanstreek,
Galile’a van die nasies – geëer
word.

2 Die volk wat in duisternis
gelewe het,

het ’n groot lig gesien.

Op die inwoners van die
land van diep skaduwee,
het lig geskyn.^e

3 U het die nasie baie groot
laat word.

U het hulle groot blydskap
gegee.

Hulle is vreugdevol
voor u

soos mense vreugdevol is
in die oestyd,

soos mense wat vreugdevol
die buit verdeel.

8:19 *Of “spiritistiese mediums”.
8:20 *Lett. “dagbreek”.

- 4** Want u het die juk wat op hulle druk, stukkend gebreek, die stok op hulle skouers, die staf van die taak-gewers, soos die dag toe Mi'dian verslaan is.^a
- 5** Elke soldatestewel wat die aarde laat dreun en elke kleed wat vol bloed is, sal deur die vuur verbrand word.
- 6** Want 'n kind is vir ons gebore,^b 'n seun is aan ons gegee, en die heerskappy* sal op sy skouers wees.^c Hy sal genoem word: Wonderlike Raadgewer,^d Magtige God,^e Ewige Vader, Prins van Vrede.^f
- 7** Sy heerskappy* sal bly uitbrei, en daar sal geen einde aan vrede wees nie.^f Hy sal op die troon van Dawid^g sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dit stewig vestig^h en versterk deur middel van geregtigheidⁱ en regverdigheid,^j van nou af en tot in alle ewigheid. Die ywer van Jehovah van die leërmagte sal dit doen.
- 8** Jehovah het 'n boodskap teen Jakob gestuur, en dit het oor Israel gekom.^k
- 9** En die hele volk sal dit weet, E'fraim en die inwoners van Samari'a, wat trots en sonder skaamte sê:
- 10** "Baksteenmure het geval, maar ons sal met gekapte klip bou.^l

9:6, 7 *Of "regeringsmag". 9:6 [#]Of "Vredevoers".

HFST. 9

a Rig 8:12, 28
Jes 10:26, 27

b Lu 1:35
Lu 2:11

c Ge 49:10
Ps 2:6
Sag 6:13
Lu 22:29
Op 19:16

d Jes 11:2
Mt 7:28, 29
Mt 12:42

e Ps 45:3
Joh 1:18

f Ps 72:1, 7
Da 2:44

g Lu 1:32, 33

h 2Sa 7:16, 17
Op 11:15

i Jes 42:1
Mt 12:18

j Ps 45:6
Jes 32:1
Jer 23:5
Heb 1:8

k 2Kn 17:6

l Am 5:11

Tweede kol.

a 2Kr 28:18

b De 31:17

c Jes 5:25
Jes 10:4

d 2Kn 17:13, 14
Ho 7:10
Am 4:6
Am 5:6

e 2Kn 17:6
Ho 10:15

f De 13:1-3

g De 4:25, 26

Wildeveybome is afgekap, maar ons sal hulle met sederbome vervang."

- 11** Jehovah sal Resin se teenstanders teen hom laat kom en sy vyande teen hom laat optree.
- 12** Sirië sal uit die ooste kom, en die Filistyne uit die weste.^a Hulle sal hulle mond oopmaak en Israel verslind.^b Weens alles wat hulle gedoen het, het sy woede nie bedaar nie, maar sy hand is nog steeds uitgesteek om hulle te straf.^c
- 13** Want die volk het nie teruggekeer na die Een wat hulle straf nie. Hulle het nie Jehovah van die leërmagte gesoek nie.^d
- 14** Op een dag sal Jehovah kop en stert, takkie* en riet van Israel afsny.^e
- 15** Die ouerman en die gerespekteerde persoon is die kop, en die profeet wat valse onderrigting gee, is die stert.^f
- 16** Die leiers van hierdie volk bring hulle op 'n dwaalspoor, en dié wat gelei word, is verward.
- 17** Daarom sal Jehovah nie bly wees oor hulle jong manne nie, en hy sal geen genade toon aan hulle weeskinders* en hulle weduwees nie, want hulle is almal afvallig en doen wat sleg is,^g en almal praat onsin.

9:14 *Of moontlik "palmtak". 9:17 *Lett. "vaderlose seuns".

Weens alles wat hulle gedoen het, het sy woede nie bedaar nie, maar sy hand is nog steeds uitgesteek om hulle te straf.^a

- 18** Want goddeloosheid brand soos 'n vuur en verteer doringbosse en onkruid.
Dit sal die digte bosse in die woud aan die brand steek, en dit sal in rook opgaan.
- 19** Deur die woede van Jehovah van die leërmagte is die land aan die brand gesteek, en die volk sal deur die vuur verteer word.
Niemand sal selfs sy broer spaar nie.
- 20** Die een sal iets afsny aan die regterkant, maar nog steeds honger wees, en die ander sal iets aan die linkerkant eet, maar nie versadig word nie. Elkeen sal die vlees van sy eie arm eet.
- 21** Manas'se sal E'frain verslind, en E'frain vir Manas'se. Saam sal hulle teen Juda wees.^b
Weens alles wat hulle gedoen het, het sy woede nie bedaar nie, maar sy hand is nog steeds uitgesteek om hulle te straf.^c
- 10** Dit sal sleg gaan met dié wat skadelike wette maak,^d wat heelyd onderdrukken- de gebooie maak
- 2** om te keer dat die armes se regspraak verhoor word en dat die hulpeloses onder my volk geregtigheid kry.^e Hulle buit die weduwees uit

HFST. 9

a Jes 5:25

b 2Kr 28:6

c Jes 5:25

HFST. 10

d Le 19:15

De 1:16, 17

e Am 2:7, 8

Tweede kol.

a De 27:19

Jak 1:27

b Ho 9:7

c De 28:49, 50

d Ho 5:13

e Jes 5:25

Jes 9:12

f Ge 10:9, 11

g 2Kn 17:3

Jes 8:3, 4

Jes 10:24

h 2Kn 17:6

i De 28:45, 63

2Kn 17:22, 23

j 2Kn 18:19, 24

k Am 6:2

l 2Kr 35:20

m 2Kn 17:24

n 2Kn 19:11, 13

en stroop die weeskinders!^{*a}

- 3** Wat sal julle doen op die dag van afrekening^{*b} wanneer vernietiging van ver af kom?^c
Na wie toe sal julle vlug om hulp te kry,^d en wat sal van julle rykdom[#] word?
- 4** Al wat oorbly, is om saam met die gevangenes neer te buig of om doodgemaak te word. Weens alles wat hulle gedoen het, het sy woede nie bedaar nie, maar sy hand is nog steeds uitgesteek om hulle te straf.^e
- 5** “Kyk! Die Assiriër,^f die lat waarmee ek uiting gee aan my woede.^g Ek sal die staf in sy hand gebruik om te straf!
- 6** Ek sal hom teen 'n afvallige nasie stuur,^h teen die volk wat my woedend gemaak het. Ek sal hom beveel om baie buit te neem en hulle te stroop en om hulle soos modder in die strate te vertrap.ⁱ
- 7** Maar hy sal ander idees hê, en hy sal ander planne beraam, want dit is in sy hart om te vernietig, om baie nasies uit te roei, nie net 'n paar nie.
- 8** Want hy sê:
‘Is my leiers nie almal konings nie?’
- 9** Is Kalno^k nie net soos Kar'kemis' nie?
Is Hamat^m nie soos Arpadⁿ nie?

10:2 *Lett. “vaderlose seuns”. 10:3 *Of “straf”. #Of “heerlikheid”.

Is Samari'a^a nie soos
Damaskus^b nie?

10 Ek het die koninkryke van
waardelose gode verower,
en hulle het meer afgods-
beelde gehad as Jerusa-
lem en Samari'a!^c

11 Sal ek nie aan Jerusalem en
haar afgode doen
wat ek aan Samari'a en haar
waardelose gode^d gedoen
het nie?

12 "Wanneer Jehovah al sy
werk op die berg Sion en in Je-
rusalem voltooi het, sal Hy die
koning van Assirië straf vir sy
skaamteloosheid en sy trots en
hoogmoed.^e **13** Want hy sê:

'Ek sal dit in my eie
krag doen
en met my wysheid, want
ek is wys.

Ek sal die grense van volke
verwyder^f
en hulle skatte stroop,^g
en soos 'n magtige sal ek
hulle inwoners onder-
werp.^h

14 Soos 'n man wat sy hand
in 'n nes steek,
sal ek die rykdom van
die volke afvat.
En soos 'n man eiers byme-
kaarmaak wat nie bewaak
word nie,
sal ek die hele aarde byme-
kaarmaak!
Nie een sal sy vlerke klap of
sy bek oopmaak of piep
nie."

15 Kan die byl dink dat hy
belangriker is as die een
wat met hom kap?
Kan die saag dink dat hy
belangriker is as die een
wat met hom saag?
Kan 'n stafⁱ die een wat hom
oplig, heen en weer be-
weeg?
Of kan 'n stok die een oplig
wat nie van hout gemaak
is nie?

HFST. 10

a 2Kn 17:5
2Kn 18:9, 10

b 2Kn 16:8, 9

c 2Kn 19:17, 18

d 2Kn 18:33, 34
2Kr 32:16, 19

e 2Kn 18:19
2Kn 18:28, 35

f 2Kn 15:29
2Kn 17:6
2Kn 18:11
1Kr 5:26

g 2Kn 16:8
2Kn 18:16

h 2Kn 18:19, 25

i Jes 10:5

Tweede kol.

a 2Kr 32:21

b Jes 30:30, 31

c Ps 84:11

d Jes 9:5
Jes 30:27
Jes 31:8, 9
Na 1:6

e Jes 37:36

f 2Kr 28:20, 21
Ho 5:13
Ho 14:3

g Jes 65:9
Ho 1:10, 11

h Jes 1:9

i Jes 28:22

j Ro 9:27, 28

16 Daarom sal die ware Heer,
Jehovah van die leër-
magte,
sy sterk manne laat uitteer,^a
en Hy sal 'n groot vuur
aansteek^b wat sy prag en
praal vernietig.

17 Israel se Lig^c sal 'n vuur
word,^d
en sy Heilige sal 'n vlam
word.

Dit sal opvlam en in een dag
sy onkruid en sy doring-
bosse verteer.

18 Hy sal die prag van sy woud
en sy vrugteboord heelte-
mal* vernietig.

Dit sal wees soos wanneer
'n siek man wegteer.^e

19 Die bome wat in sy woud
oorbly,
sal so min wees dat 'n seun-
tjie hulle sal kan tel.

20 In daardie dag sal die oor-
blywendes van Israel
en die oorlewendes van
die huis van Jakob,
nie meer staatmaak op die
een wat hulle geslaan het
nie,^f

maar hulle sal met getrou-
heid op Jehovah,
die Heilige van Israel,
vertrou.

21 Net 'n oorblyfsel, die oor-
blyfsel van Jakob,
sal terugkeer na die
Magtige God.^g

22 Want al is jou volk
soos die sandkorrels van
die see, o Israel,
sal net 'n oorblyfsel van
hulle terugkeer.^h
Daar is besluit om te
vernietig,ⁱ
en geregtigheid* sal hulle
inhaal.^j

10:18 *Of "van siel tot vlees". **10:22**
*Of "straf".

23 Ja, die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, se besluit om te vernietig, sal in die hele land uitgevoer word.^a

24 Daarom sê die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte: "O my volk wat in Sion woon, moenie bang wees vir die Assiriër wat jou met die stok geslaan het^b en wat sy staf teen jou opgelig het soos Egipte gedoen het nie.^c **25** Want die veroordeling sal binnekort tot 'n einde kom. Ek sal my woede teen hulle rig en hulle vernietig.^d **26** Jehovah van die leërmagte sal hom met 'n sweep slaan,^e soos toe hy Mi'dian by die rots Oreb verslaan het.^f Hy sal sy staf oor die see uitsteek en dit oplig soos hy in die geval van Egipte gedoen het.^g

27 In daardie dag sal sy vraag van jou skouer afgly,^h en sy juk van jou nek,ⁱ en die juk sal gebreek word^j weens die olie."

28 Hy het na Ajat^k gekom. Hy het deur Migron getrek. By Migmas^l het hy sy goed agtergelaat.

29 Hulle het deur die drif getrek. Hulle het by Geba^m oornag. Rama het gebewe, Gi'beaⁿ van Saul het gevlug.^o

30 Roep uit en gil, dogter van Gallim! Skenk aandag, Lajesa! Arme A'natot!^p

31 Madme'na het gevlug. Die inwoners van Gebim het skuiling gesoek.

32 Vandag nog sal hy in Nob^q rus. Hy swaai sy vuis dreigend na die berg van die dogter van Sion, die heuwel van Jerusalem.

HFST. 10

- a De 28:45, 63
b 2Kn 18:13
 Jes 10:5
c Eks 14:3, 9
d 2Kn 19:35
e 2Kr 32:21
 Jes 30:32
 Na 3:7
f Rig 7:25
 Rig 8:21
 Ps 83:11
g Eks 14:21, 27
h Jes 9:4
 Na 1:13
i Jes 14:25
j 2Kn 19:35
 Jes 37:35, 36
k Jos 7:2
l 1Sa 13:2
 1Sa 14:31
m Jos 21:8, 17
 2Kr 16:6
n Rig 20:13
o Ho 5:8
p Jos 21:8, 18
 Jer 1:1
q 1Sa 22:18, 19

Tweede kol.

- a 2Kr 32:21
 Jes 37:36

HFST. 11

- b Ps 132:11
 Jes 53:2
 Op 5:5
 Op 22:16
c Rut 4:17
 1Sa 17:58
 Mt 1:1, 6
 Lu 3:23, 32
 Han 13:22, 23
 Ro 15:12
d Jer 23:5
 Jer 33:15
 Sag 3:8
 Sag 6:12
e Jes 42:1
 Joh 1:32
 Han 10:38
f Lu 2:52
g Jes 9:6
h Heb 5:7
i Joh 7:24
 Joh 8:16
j Ps 2:9
 Ps 110:2
 Op 19:11, 15
k 2Te 2:8
l Op 3:14
m Jes 65:25

33 Kyk! Die ware Heer, Jehovah van die leërmagte, kap takke met 'n verskriklike slag af.^a

Die hoogste bome word afgekap, en die grotes sal val.

34 Hy kap die digte bosse in die woud met 'n byl af, en 'n magtige sal die bome van die Li'banon-berge laat val.

11 Daar sal 'n takkie^b groei uit die stomp van Isai,^c en 'n spruit^d uit sy wortels sal vrug dra.

2 En die gees van Jehovah sal op hom rus,^e die gees van wysheid^f en van insig, die gees van raad en van mag,^g die gees van kennis en van vrees vir Jehovah.

3 En hy sal vreugde daarin vind om Jehovah te vrees.^h

Hy sal nie oordeel net volgens wat sy oë sien nie, en ook nie tereg wys net volgens wat sy ore hoor nie.ⁱ

4 Hy sal die armes met geregtigheid* oordeel, en met regverdigheid sal hy tereg wysing gee ten gunste van die nederiges van die aarde.

Hy sal die aarde slaan met die oordeel^j van sy mond^k en die goddeloses doodmaak met die asem^l van sy lippe.^k

5 Regverdigheid sal om sy middel gebind wees, en getrouheid om sy heupe.^l

6 Die wolf sal 'n ruk by die lam wees,^m

11:4 *Of "regverdigheid". ^jOf "roede; lat". ^lOf "gees".

en die luiperd sal by die boklam gaan lê,
en die kalf en die leeu* en die vetgevoerde dier sal almal saam wees,^{#a}
en 'n seuntjie sal hulle lei.

- 7** Die koei en die beer sal saam wei,
en hulle kleintjies sal bymekaar lê.
Die leeu sal strooi eet soos die bul.^b
- 8** 'n Baba* sal by die lêplek van 'n kobra speel.
En 'n kind[#] sal sy hand op die nes van 'n giftige slang sit.
- 9** Hulle sal niks slegs doen^c of enige skade aanrig op my hele heilige berg nie,^d want die aarde sal beslis vol wees van die kennis van Jehovah
soos die waters die seabodem bedek.^e
- 10** In daardie dag sal die wortel van Isai^f opstaan en 'n banier* vir die volke wees.^g
Die nasies sal leiding by hom soek,^{#h}
en sy rusplek sal glorieryk word.
- 11** In daardie dag sal Jehovah weer sy hand uitsteek, 'n tweede keer, om die oorblyfsel van sy volk terug te bring uit Assi'rië,ⁱ Egipte,^j Patros,^k Kus,^l Elam,^m Si'near,* Hamat en die eilande van die see.ⁿ **12** Hy sal 'n banier* vir die nasies oprig en dié van Israel wat verstrooi is, versamel.^o En hy sal dié van Juda wat verstrooi is, uit die uithoeke van die aarde bymekaarmaak.^p

11:6 *Of "jong maanhaarleeu". [#]Of moontlik "die kalf en die leeu sal saam wei". **11:8** *Of "Suigeling". [#]Of "gespeende kind". **11:10, 12** *Of "seinpaal". **11:10** *Of "Die nasies sal hom soek". **11:11** *D.w.s. Babilonië.

HFST. 11

a Ese 34:25
b Ho 2:18
c Jes 2:4
Jes 35:9
Jes 60:18
Mi 4:4
d Jes 51:3
Jes 56:7
Jes 65:25
e Ps 22:27
Hab 2:14
f Ro 15:12
Op 22:16
g Ge 49:10
Jes 49:22
Jes 62:10
h Han 11:18
Han 28:28
i Jes 11:16
j Jes 27:13
Jer 44:28
Mi 7:12
k Jer 44:15
l Sef 3:10
m Da 8:2
n Jes 66:19
o Esr 1:2, 3
Jes 49:22
Jes 62:10
p Ps 147:2
Jes 66:20

Tweede kol.

a 2Kr 30:1, 10
Jer 31:6
b Jer 3:18
Ese 37:16, 19
Ho 1:11
c Am 9:11, 12
Ob 18
d Jes 25:10
e Jer 49:2
f Eks 14:22
g Ge 15:18
h Jes 19:23
Jes 27:13
Jes 35:8
Jes 40:3
Jes 57:14
Jer 31:21
i Esr 1:2, 3

HFST. 12

j Ps 30:3
De 30:5
Ps 85:1
Ps 126:1
Jes 40:2
Jes 66:13
k Jes 45:17
l Jes 26:4

- 13** Die jaloesie van E'fraim sal verdwyn,^a
en dié wat Juda vyandig behandel, sal vernietig word.
E'fraim sal nie jaloers wees op Juda nie,
en Juda sal E'fraim nie vyandig behandel nie.^b
- 14** Hulle sal die Filistyne* in die weste aanval.
Saam sal hulle die mense van die ooste stroop.
Hulle sal Edom^c en Moab^d verower,
en die Ammoniete sal hulle onderdane word.^e
- 15** Jehovah sal die inham van die Egiptiese see verdeel*^f
en sy hand oor die Rivier[#] swaai.^g
Met sy verskroeiende asem^h sal hy sy sewe strome laat opdroog,^h
en hy sal mense met hulle sandale daardeur laat loop.
- 16** En daar sal 'n grootpad^h uit Assi'rië wees vir die oorblyfsel van sy volk,ⁱ
soos daar vir Israel was toe hulle uit Egipte gekom het.
- 12** In daardie dag sal jy beslis sê:
"Ek dank u, Jehovah,
want hoewel u vir my kwaad was,
het u woede geleidelik bedaar, en u het my vertrous.^j
- 2** God is my redding.^k
Ek sal op hom vertrou en nie bang wees nie,^l
- 11:14** *Lett. "die skouer van die Filistyne". **11:15** *Of moontlik "laat opdroog". [#]Die Eufratrivier. ^hOf "gees". ^hOf moontlik "sal hy dit in sewe strome verdeel".

want Jah* Jehovah is my sterkte en my mag, en hy het my redding geword.^a

3 Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding.^b

4 En in daardie dag sal julle sê:
"Dank Jehovah, roep sy naam aan!

Maak sy dae onder die volke bekend!^c

Verkondig dat sy naam hoog verhewe is.^d

5 Sing lofliedere* vir Jehovah,^e want hy het wonderlike dinge gedoen.^f

Laat dit oor die hele aarde bekend gemaak word.

6 Juig en roep uit van vreugde, inwoner* van Sion, want die Heilige van Israel wat by jou is, is groot."

13 'n Oordeelsboodskap teen Babilon^g wat Jesaja,^h die seun van Amos, in 'n visioen ontvang het:

2 "Rig 'n banier* op.ⁱ Sit dit op 'n berg sonder bome. Roep hulle, beduie met die hand om hulle by die poorte van die heersers te laat ingaan.

3 Ek het die bevel gegee aan dié wat ek aangestel* het.^j Ek het my soldate geroep om uiting te gee aan my woede, en hulle juig vol trots.

4 Luister! 'n Skare in die berge.

12:2 *"Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. **12:5** *Of "Maak musiek". **12:6** *Lett. "inwoonster". Daar word na die bevolking verwys as 'n vrou. **13:2** *Of "seinpaal". **13:3** *Lett. "geheilig".

HFST. 12

a Ps 118:14
Ho 1:7

b Jes 49:10

c 1Kr 16:8
Ps 105:1, 2

d Eks 15:2

e Ps 149:3

f Ps 98:1

HFST. 13

g Jer 25:12
Jer 50:1-3
Op 18:2

h Jes 1:1

i Jer 51:12
Jer 51:27, 28

j Jes 45:1

Tweede kol.

a Da 5:28

b Jer 50:15

c Jer 50:9
Jer 51:28

d Jer 51:11

e Jes 13:18
Jer 50:13

f Jer 50:43

g Da 5:6

h Jer 50:23, 29

i Job 9:9
Job 38:31
Am 5:8

Dit klink soos 'n groot volk!
Luister! Die lawaaie van koninkryke, van nasies wat bymekaar-gekome het!^a

Jehovah van die leërmagte roep die leërmag op vir die oorlog.^b

5 Hulle kom uit 'n ver land,^c van die verste horison af,^{*} Jehovah en die wapens van sy woede, om die hele aarde te verwoes.^d

6 Huil, want die dag van Jehovah is naby!

Dit sal kom as 'n vernietiging van die Almagtige af.^e

7 Daarom sal al die hande slap word, en almal sal verlam wees van vrees.^f

8 Die mense is paniek-bevange.^g

Hulle word deur krampe en pyne oorval, soos 'n vrou wat geboorte gee.

Hulle kyk mekaar geskok aan, en hulle gesigte gloei van angs.

9 Kyk! Die dag van Jehovah kom, wreed, met groot en brandende woede, om die land iets skokkends te maak.^h en om die land se sondaars te vernietig.

10 Want die sterre van die hemel en hulle sterrebeelde*ⁱ sal nie hulle lig uitstraal nie. Die son sal donker wees wanneer dit opkom,

13:5 *Lett. "van die einde van die hemel af". **13:10** *Lett. "en hulle Kesils". Verwys moontlik na Orion en die omringende sterrebeelde.

en die maan sal nie sy lig laat skyn nie.

- 11** Ek sal dié wat op die aarde lewe, straf vir hulle slegtheid,^a en die goddeloses vir hulle oortreding. Ek sal 'n einde maak aan die trots van die vermeteles,* en ek sal die hoogmoedige onderdrukkers verneder.^b
- 12** Ek sal mense skaarser maak as suiwer goud,^c ja, skaarser as die goud van Ofir.^d
- 13** Daarom sal ek die hemel laat bewe, en die aarde sal uit sy plek geskud word^e weens die woede van Jehovah van die leërmagte in die dag van sy brandende woede.
- 14** Soos 'n wildsbok wat gejag word en soos skape met niemand om hulle bymekaar te maak nie, sal elkeen na sy eie volk teruggaan. Elkeen sal na sy eie land vlug.^f
- 15** Elkeen wat gevind word, sal deurbaar word, en elkeen wat gevang word, sal met die swaard doodgemaak word.^g
- 16** Hulle kinders sal voor hulle oë doodgeslaan word.^h Hulle huise sal gestroop word, en hulle vrouens sal verkrag word.
- 17** Ek stuur die Mede teen hulle.ⁱ Hulle beskou silwer as niks en stel nie belang in goud nie.

13:11 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

HFST. 13

a Ps 137:8
Jer 51:37
Op 18:2

b Jer 50:29
Da 5:22, 23

c Jer 50:30
Jer 51:3, 4

d 1Kn 10:11

e Jer 51:29

f Jer 50:16

g Jer 51:3, 4

h Ps 137:8, 9

i Jes 21:2
Jer 50:9
Jer 51:11
Da 5:30, 31

Tweede kol.

a Jer 50:14

b Jes 47:5
Da 4:30

c Jes 47:1

d Ge 19:24, 25
Jer 50:40

e Jer 50:3, 13
Jer 51:29, 37
Op 18:21

f Op 18:2

g Jer 51:33

HFST. 14

h Le 26:42

i Sag 1:17

j De 30:1-3
Jes 66:20
Jer 24:6
Ese 36:24

k Jes 56:6, 7
Jes 60:3
Sag 8:22, 23

l Jes 61:5
Sag 2:8, 9

18 Hulle boë sal jong manne verpletter.^a

Hulle sal nie jammer voel vir babas

of genade toon aan kinders nie.

19 En Babilon, die glorierykste van al die koninkryke,^b die prag en die trots van die Galdeërs,^c sal soos Sodom en Gomor'ra word toe God hulle vernietig het.^d

20 Sy sal nooit bewoon word nie, en sy sal tot in alle geslagte nooit weer 'n woonplek wees nie.^e

Geen Arabier sal sy tent daar opslaan nie, en geen herders sal hulle kuddes daar laat rus nie.

21 Die woestyndiere sal daar gaan lê.

Hulle huise sal vol ooruike wees.

Die volstruise sal daar bly,^f en wilde bokke* sal daar rondhuppel.

22 In haar torings sal die gehuil van diere gehoor word,

en die getjank van jakkalse in haar luukse paleise.

Haar tyd is naby, en daar sal geen uitstel wees nie."^g

14 Want Jehovah sal genade aan Jakob betoon,^h en hy sal Israel weer kies.ⁱ Hy sal hulle in hulle land laat woon,^{*j} en die uitlanders sal na hulle toe kom en by die huis van Jakob aansluit.^k **2** En volke sal hulle na hulle eie plek terugbring, en hulle sal slawe en slavinne^l van die huis van Israel word in die land van Jehovah. En Israel sal dié gevange neem wat hulle gevange gehou het, en hulle sal

13:21 *Of moontlik "en bokagtige demone". **14:1** *Of "rus gee".

heers oor dié wat hulle gedwing het om te werk.*

3 Op die dag wanneer Jehovah vir jou rus gee van jou pyn en van jou onrustigheid en van die harde slawewerk wat jy moes doen,^a **4** sal jy die koning van Babilon spot en sê:*

“Dit is verby met die een wat ander gedwing het om te werk!”^f

Dit is verby met die onderdrukking!^b

5 Jehovah het die stok van die goddeloses gebreek,

die staf van die heersers,^c

6 die een wat volke wreed en aanhoudend geslaan het,^d die een wat nasies in sy woede onderwerp het en sonder ophou vervolg het.^e

7 Die hele aarde het nou rus en vrede. Mense roep uit van vreugde.^f

8 Selfs die jenewerbome en die sederbome van die Li'banon-berge is bly oor wat met jou gebeur het.

Hulle sê: ‘Vandat jy geval het, kom geen houtkapper om ons af te kap nie.’

9 Selfs die Graf* daaronder is in rep en roer om jou te ontmoet wanneer jy kom.

Weens jou maak dit dié wakker wat magteloos is in die dood, al die onderdrukkende leiers^g van die aarde.

14:2 *Of “hulle taakgewers”. **14:4**

*Of “hierdie spreekwoord teen die koning van Babilon sê”. ^aOf “die taakgewer”. **14:9, 11, 15** *Of “Sjeool”. Sien Woordelys. **14:9** ^fLett. “die bokrame”.

HFST. 14

a Esr 3:1
Esr 9:8
Jer 30:10

b Jer 50:23

c Ps 125:3

d 2Krn 36:17
Jer 50:17

e Hab 1:6
Sag 1:15

f Ps 126:2
Jes 49:13
Jer 51:48
Op 18:20

Tweede kol.

a Op 18:22

b 2Krn 36:17
Jer 51:7
Ese 29:19
Da 5:18, 19

c Jes 47:7
Da 4:30

d Da 5:22, 23

e Ps 48:1, 2

f Jer 51:25

g 2Krn 25:21
Jes 64:10

h 2Krn 24:12, 14
2Krn 25:11

Dit laat al die konings van die nasies van hulle trone af opstaan.

10 Hulle almal sê vir jou:

‘Het jy ook swak geword soos ons?’

Het jy soos ons geword?

11 Jou trots het na die Graf* afgegaan,

soewel as die geluid van jou snaarinstrumente.^a

Maaiers is jou bed onder jou, en wurms bedek jou.’

12 Jy, o stralende, seun van die dagbreek,

jy het uit die hemel geval! Jy wat nasies oorwin het,^b is afgekap en lê op die aarde!

13 Jy het in jou hart gesê:

‘Ek sal na die hemel toe opklim.’^c

Bo die sterre van God sal ek my troon plaas,^d

en ek sal op die berg van samekoms gaan sit, in die mees afgeleë dele van die noorde.^e

14 Ek sal tot bo die hoogste wolke opklim,

ek sal my soos die Allerhoogste maak.’

15 Maar jy sal na die Graf* afgebring word,

na die diepste dele van die graf.

16 Dié wat jou sien, sal na jou staar.

Hulle sal jou goed bekyk en sê:

‘Is dit die man wat die aarde geskud het, wat koninkryke laat bewe het,’^f

17 wat die bewoonde aarde soos die wildernis gemaak het

en stede verwoes het,^g

wat geweier het om sy gevangesenes te laat gaan?’^h

- 18** Al die ander konings van die nasies, ja, hulle almal, rus in heerlikheid, elkeen in sy eie graf.*
- 19** Maar jy is weggegooi, sonder 'n graf, soos 'n ongewenste takkie.* Jy is bedek met dié wat met die swaard doodgemaak is, wat in 'n gat met klippe gegooi is. Jy is soos 'n vertrapte karkas.
- 20** Jy sal nie by hulle begrawe word nie, want jy het jou eie land verwoes en jou eie volk doodgemaak. Die nageslag van goddeloses sal nooit weer genoem word nie.
- 21** Maak 'n slagblok gereed vir sy seuns weens die oortredings van hulle voorvaders, sodat hulle nie opstaan en die aarde oorneem en die wêreld met hulle stede vul nie.”
- 22** “Ek sal teen hulle opstaan,”^a sê Jehovah van die leërmagte.
- “En ek sal naam en oorblyfsel en nakomelinge en nageslag uit Babilon wegvee,”^b sê Jehovah.
- 23** “Ek sal haar 'n besitting van ystervarke en 'n vleiland maak, en ek sal haar met die besem van vernietiging wegvee,”^c sê Jehovah van die leërmagte.
- 24** Jehovah van die leërmagte het gesweer:
“Wat ek besluit het moet gebeur, sal gebeur.
Net soos ek besluit het, so sal dit wees.

14:18 *Lett. “huis”. 14:19 *Of “spruit”.

HFST. 14

a Jes 43:14
Jer 50:25
Jer 51:56

b Jer 51:62

c Jes 13:1, 21
Jer 50:35, 39
Op 18:2

Tweede kol.

a 2Kr 32:21, 22
Jes 30:31
Jes 31:8
Jes 37:36, 37

b Jes 10:24

c Ps 33:11
Spr 19:21
Spr 21:30
Jes 46:11

d 2Kr 20:5, 6
Jes 43:13

e 2Kn 16:20
2Kr 28:27

f 2Kr 26:3, 6

g 2Kn 18:1, 8

h Jer 47:1
Ese 25:16
Jl 3:4
Am 1:6-8
Sef 2:4
Sag 9:5

- 25** Ek sal die Assiriër in my land verpletter, en ek sal hom op my berge vertrap.^a
Sy juk sal van hulle afgehaal word, en sy vrag van hulle skouers.”^b
- 26** Dit is wat teen die hele aarde besluit is, en dit is die hand wat teen al die nasies uitgesteek is.
- 27** Want Jehovah van die leërmagte het besluit, en wie kan dit laat misluk?^c
Sy hand is uitgesteek, en wie kan dit keer?^d
- 28** In die jaar dat koning Agas gesterf het,^e is hierdie oordeelsboodskap uitgespreek:
- 29** “O Filiste'a, nie een van jou inwoners moet bly wees net omdat die staf gebreek is van die een wat jou geslaan het nie.
Want uit die wortel van die slang^f sal 'n giftige slang voortkom,^g en sy nageslag sal 'n vinnige giftige* slang wees.
- 30** Terwyl die kinders van die hulpeloses genoeg het om te eet en die armes in veiligheid rus, sal ek jou volk deur hongersnood laat sterf, en wat van jou oorbly, sal doodgemaak word.^h
- 31** Huil, o poort! Roep uit, o stad!
Julle sal almal moed verloor, o Filiste'a!
Want rook kom uit die noorde, en elke soldaat is op sy plek.”

14:29 *Lett. “vlieënde vurige”.

32 Watter antwoord moet aan die boodskappers van die nasie gegee word? Dat Jehovah die fondament van Sion gelê het^a en dat die hulpeloses van sy volk daar beskerming sal soek.

15 'n Oordeelsboodskap teen Moab:^b

Omdat dit in een nag verwoes is, is Ar^c van Moab stilgemaak. Omdat dit in een nag verwoes is, is Kir^d van Moab stilgemaak.

2 Mense het opgegaan na die tempel en na Dibon,^e na die offerhoogtes, om te huil.

Moab huil oor Nebo^f en oor Mede^g'ba.^g

Elke kop is kaal geskeer,^h elke baard is afgeskeer.ⁱ

3 Op sy strate dra hulle saklinne.

Op hulle dakke en op hulle openbare pleine huil hulle almal.

Hulle huil terwyl hulle afgaan.^j

4 Hesbon en Elea^{le}^k roep uit. Hulle stem word tot by Jahas^l gehoor.

Daarom hou die gewapende manne van Moab aan skree.

Hulle bewe van vrees.

5 My hart roep uit oor Moab. Sy vlugteling het tot by Soar^m en Eg^{lat}-Selisi^aⁿ gevlug.

Hulle huil terwyl hulle teen die opdraand van Luhit opgaan.

Op die pad na Horona^{im} treur hulle oor die ramp.^o

6 Want die waters van Nimrim het verdwyn.

Die groen gras het verdroog,

HFST. 14

a Ps 48:1-3
Ps 87:1, 2
Ps 132:13, 14

HFST. 15

b Jer 9:25, 26
Ese 25:11

c Nu 21:28
De 2:9

d 2Kn 3:24, 25
Jer 48:31

e Jer 48:18

f Jer 48:1

g Nu 21:30
Jos 13:15-17

h De 14:1

i Jer 48:36, 37

j Jer 48:38

k Nu 32:37
Jes 16:9

l Rig 11:20

m Ge 13:10

n Jer 48:34

o Jer 48:3, 5

Tweede kol.

a Jer 48:20

b 2Kn 17:25, 26

HFST. 16

c Jer 48:19

d Nu 21:13

e Jer 48:8, 42

die gras en alle groenigheid is weg.

7 Daarom dra hulle weg wat oor is van hulle voorraad en hulle rykdom.

Hulle trek deur die vallei* van die populiere.

8 Die geskree weerklink dwarsdeur die gebied van Moab.^a

Die gehuil kan tot by Eglai^m en tot by Beër-Elim gehoor word.

9 Want die waters van Dimon is vol bloed.

En ek sal nog dinge oor Dimon bring:

Leeus vir dié van Moab wat ontsnap en vir dié wat in die land oorbly.^b

16 Stuur 'n ram na die heerser van die land,

van Sela af deur die wildernis,

na die berg van die dogter van Sion.

2 Soos 'n voël wat uit sy nes gejaag is,^c

so sal die dogters van Moab by die driewe van die Arnon^d wees.

3 "Gee raad, voer die besluit uit.

Bied in die middel van die dag skaduwee wat so donker is soos die nag.

Beskerm dié wat verstrooi is, en moenie dié wat vlug, verraai nie.

4 Laat my vlugteling in jou woon, o Moab.

Word 'n skuilplek vir hulle weens die vernietiger.^e

Die onderdrukker sal aan sy einde kom, die vernietiging sal tot 'n einde kom

15:7 *Of "wadi". Sien Woordelys.

en dié wat ander vertrap,
sal van die aarde af
verdwyn.

- 5 Dan sal 'n troon stewig gevestig word deur lojale liefde.

Die een wat daarop sit in die tent van Dawid sal getrou wees.^a

Hy sal regverdig oordeel en sonder uitstel doen wat reg is.^b

- 6 Ons het van die trots van Moab gehoor – hy is baie trots.^c

Ons het gehoor van sy hoogmoed en sy trots en sy woede.^d

Maar sy leë praatjies sal op niks uitloop nie.

- 7 Daarom sal Moab oor Moab huil.

Hulle sal almal huil.^e

Dié wat getref is, sal treur oor die rosynekoeke van Kir-Hare'set.^f

- 8 Want die terrasse van Hesbon^g het verdroog, die wingerdstok van Sibma.^h Die heersers van die nasies het sy helderrooi takke* vertrap,

wat tot by Jaser gekom het,ⁱ wat tot in die wildernis gestrek het.

Sy jong takkies het uitgesprei en tot by die see gekom.

- 9 Daarom sal ek oor die wingerdstok van Sibma huil soos ek oor Jaser huil. My trane sal oor julle vloei, o Hesbon en Elea'le,^j want die gejuig oor julle somervrugte en julle oes is verby.*

16:8 *Of "sy takke wat vol rooi druiwe is". 16:9 *Of moontlik "want die oorlogskreet het oor jou somervrugte en jou oes gekom".

HFST. 16

a 2Sa 7:16, 17

b Ps 45:6
Ps 72:1, 2
Jes 9:6, 7
Jes 32:1
Jer 23:5

c Jer 48:26, 29
Sef 2:9, 10

d Am 2:1

e Jes 15:2
Jer 48:20

f 2Kn 3:24, 25

g Jos 13:15, 17

h Nu 32:37, 38
Jos 13:15, 19

i Jos 13:24, 25
Jer 48:32

j Jes 15:4
Jer 48:34

Tweede kol.

a Jer 48:33

b Sef 2:9

c Jes 15:5
Jer 48:36

d Jes 15:1

e Jer 48:7, 35

f Jes 25:10
Jer 48:46, 47
Sef 2:9

HFST. 17

g Jer 49:23
Sag 9:1

h 2Kn 16:8, 9
Jes 8:4
Am 1:5

i Nu 32:34
Jos 13:15, 16
2Kn 10:32, 33

j 2Kn 17:6
Jes 7:8
Jes 28:1, 2
Ho 5:14

k 2Kn 16:8, 9

- 10 Vreugde en blydskap is uit die vrugteboord wegge-
neem,

en daar is geen vreugde-
liedere of gejuig in die
wingerde nie.

Niemand sal druiwe trap
in die wynperse nie,^a
want ek het die gejuig laat
ophou.^b

- 11 Daarom bewe my ingewande
van hartseer oor Moab,^c
soos die trillende snare
van 'n harp.

En my binneste bewe oor
Kir-Hare'set.^d

- 12 Selfs as Moab hom op die
offerhoogte uitput en in sy heil-
ligdom gaan bid, sal dit niks
help nie.^e

- 13 Dit is wat Jehovah vroeër
oor Moab gesê het. 14 En nou
sê Jehovah: "Binne drie jaar, be-
reken volgens die jare van 'n ge-
huurde werker,* sal skande oor
die heerlijkheid van Moab kom.
Daar sal groot verwarring wees,
en dié wat oorbly sal baie min
en swak wees."^f

- 17 'n Oordeelsboodskap teen
Damaskus:^g

"Damaskus gaan nie meer
'n stad wees nie.

Daar sal net ruïnes oorbly.^h

- 2 Die stede van A'roërⁱ sal
verlate wees.

Hulle sal plekke word waar
kuddes gaan lê,
en daar sal niemand wees
wat hulle bang maak nie.

- 3 Versterkte stede sal uit
E'fraim verdwyn,^j
en die koninkryk uit
Damaskus.^k

En dié wat van Sirië oorbly,
sal verdwyn

16:14 *Of "so sorgvuldig afgetel soos 'n gehuurde werker sou doen", d.w.s. presies drie jaar.

soos die heerlijkheid van die Israeliete," sê Jehovah van die leërmagte.

- 4** "In daardie dag sal die heerlijkheid van Jakob al hoe minder word, en sy gesonde liggaam sal maer word.
- 5** Dit sal wees soos wanneer iemand graan insamel en die graanare met sy hand oes, soos wanneer iemand die paar oorblywende graanare in die Refa'im-vallei^a optel.
- 6** Daar sal net oesoorblyfsels wees, soos wanneer 'n olyfboom geslaan word: net twee of drie ryp olywe bly aan die hoogste tak oor, net vier of vyf aan sy vrugdraende takke,"^b sê Jehovah, die God van Israel.
- 7** In daardie dag sal die mens na sy Maker opkyk, en sy oë sal op die Heilige van Israel wees.
- 8** Hy sal nie kyk na die altare,^c die werk van sy hande^d nie. En hy sal nie kyk na wat sy vingers gemaak het nie, na die heilige pale* of die reukwerkstaanders nie.
- 9** In daardie dag sal sy versteerke stede soos 'n verlate plek in die bos word,^e soos 'n tak wat voor die Israeliete agtergelaat is. Dit sal 'n wildernis word.
- 10** Want jy het die God van jou redding vergeet.^f Jy het nie aan die Rots^g van jou vesting gedink nie. Daarom maak jy pragtige tuine en plant jy die lote van 'n vreemdeling* daarin.

17:8 *Sien Woordelys. 17:10 *Of "n vreemde god".

HFST. 17
a Jos 15:8, 12
Jos 18:11, 16

b De 4:27
De 24:20

c 2Kr 31:1

d Ho 8:6, 11

e Ho 10:14
Am 3:11

f Ps 50:22
Ho 8:14

g De 32:4
2Sa 22:32

Tweede kol.

a De 28:30
Ho 8:7

HFST. 18
b Jes 20:3, 4
Ese 30:4

c 2Kr 12:2, 3
2Kr 14:9
2Kr 16:8

- 11** Al maak jy 'n heining om jou tuin in die dag en al laat jy jou saad in die oggend uitspruit, sal die oes in die dag van siekte en ongeneeslike pyn verdwyn.^a
- 12** Luister! Daar is die lawaai van baie volke. Hulle is so onstuimig soos die see! Daar is die geraas van nasies, wat soos die gedruis van magtige waters klink!
- 13** Die nasies sal klink soos die gedruis van baie waters. Hy sal hulle bestraf, en hulle sal ver weg vlug, soos kaf wat op die berge deur 'n wind weggewaai word, soos 'n rolbos voor 'n stormwind.
- 14** In die aand is daar paniek. Voordat die oggend aanbreek, is hulle nie meer nie. Dit is wat wag op dié wat ons beroof, en dit is die lot van dié wat ons stroop.
- 18** Dit sal sleg gaan met die land waar dit gons van vlieënde insekte in die streek van die riviere van Etiopië!^b
- 2** Dit stuur boodskappers uit oor die waters in bote van papyrus, en sê: "Gaan, vinnige boodskappers, na 'n nasie van lang mense met 'n gladde vel, na 'n volk wat oral gevrees word,^c 'n sterk nasie wat verower, wie se land deur riviere weggespoel word."

- 3** Alle inwoners van die land en bewoners van die aarde, julle sal iets sien wat soos 'n banier* op die berge opgerig is, en julle sal 'n geluid hoor wat klink soos die geblaas van 'n horing.
- 4** Want dit is wat Jehovah vir my gesê het: “Ek sal rustig bly en na* my vaste plek kyk, soos die stralende hitte van die sonlig, soos die dou in die hitte van die oes.
- 5** Want voor die oes, wanneer daar nie meer bloeïssels is nie en die druiwe begin ryp word, sal die jong takkies met snoeïmesse afgesny word en die ranke afgekap en verwyder word.
- 6** Hulle sal almal agtergelaat word vir die roofvoëls van die berge en vir die diere van die aarde. Die roofvoëls sal die somer op hulle deurbring, en al die diere van die aarde sal die oestyd op hulle deurbring.
- 7** In daardie tyd sal 'n geskenk aan Jehovah van die leërmagte gebring word van 'n nasie van lang mense met 'n gladde vel, van 'n volk wat oral gevrees word, 'n sterk nasie wat verower, wie se land deur riviere weggespoel word, na die plek wat die naam van Jehovah van die leërmagte dra, die berg Sion.”^a

18:3 *Of “seinpaal”. **18:4** *Of moontlik “vanuit”.

HFST. 18

a Jes 8:18
Jes 24:23

Tweede kol.

HFST. 19

a Jer 25:17, 19
Ese 29:2
Jl 3:19

b Eks 12:12
Jer 43:12
Jer 46:25
Ese 30:13

c Jes 19:11, 13

d Jes 8:19
Han 16:16
Op 18:23

e Jes 20:3, 4
Jer 46:25, 26
Ese 29:19

f Ese 30:12
Sag 10:11

g Eks 2:3

h De 11:10

i Ese 29:10

19 'n Oordeelsboodskap teen Egipte:^a

Jehovah ry op 'n vinnige wolk en kom na Egipte. Die waardelose gode van Egipte sal voor hom bewe,^b

en Egipte sal verlam wees van vrees.

- 2** “Ek sal Egiptenare teen Egiptenare aanhits, en hulle sal teen mekaar baklei, elkeen teen sy broer en teen sy medemens, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.
- 3** En Egipte sal nie weet wat om te doen nie, en ek sal hulle planne verwar.^c Hulle sal hulp soek by die waardelose gode, by die towenaars en by mense wat geeste oproep* en by die fortuinvertellers.^d
- 4** Ek sal Egipte aan 'n harde meester oorlewer, en 'n wrede koning sal oor hulle regeer,”^e sê die ware Heer, Jehovah van die leërmagte.
- 5** Die water van die see sal opdroog, en die rivier sal leeg word en droogloop.^f
- 6** Die riviere sal stink, en die Nylkanale van Egipte sal vlak word en opdroog. Die riete en die biesies sal verrot.^g
- 7** Die plante langs die Nylrivier, by die mond van die Nyl, en elke landery langs die Nylrivier^h sal verdroog.ⁱ Alles sal weggewaai word, en daar sal niks oorbly nie.

19:3 *Of “by spiritistiese mediums”.

- 8** En die vissermanne sal treur,
en dié wat vishoeke in die Nyl uitgooi, sal huil,
en dié wat hulle nette oor die waters uitgooi, sal al hoe minder word.
- 9** Dié wat met uitgekamde vlas^a werk
en dié wat wit materiaal weef, sal verneder word.
- 10** Haar wewers sal verpletter wees.
Al die gehuurde werkers sal treur.
- 11** Die leiers van Soan^b is dwaas.
Die beste raadgewers van Farao gee slegte raad.^c
Hoe kan julle vir Farao sê: "Ek is 'n nakomeling van wyse mense,
'n nakomeling van konings van lank gelede"?
- 12** Waar is jou wyse manne dan?^d
Laat hulle jou vertel as hulle weet wat Jehovah van die leërmagte oor Egipte besluit het.
- 13** Die leiers van Soan het dwaas opgetree,
die leiers van Nof^{*e} is bedrieg.
Egipte is op 'n dwaalspoor gebring deur die hoofde van haar stamme.
- 14** Jehovah het 'n gees van verwarring oor haar gebring.^f
En hulle het Egipte op 'n dwaalspoor gebring in alles wat sy doen,
soos 'n dronk mens wat rondgely in sy uitbraaksel.
- 15** En niemand in Egipte sal iets kan doen nie,
nie die kop of die stert, die takkie^{*} of die riet nie.

19:13 *Of "Memfis". 19:15 *Of moontlik "palmtak".

HFST. 19

a Eks 9:25, 31
Spr 7:16

b Ps 78:12
Ese 30:14

c Jes 44:25

d Ge 41:8
1Kn 4:30
Han 7:22

e Jer 46:14
Ese 30:13

f Job 12:20, 24
Jes 19:3

Tweede kol.

a Jes 11:15

b Jes 20:3, 4
Jer 25:17, 19
Jer 43:10, 11
Ese 29:6

c Jer 43:4, 7
Jer 44:1

d Jes 19:1
Jer 46:13

e Jes 11:16
Jes 35:8
Jes 40:3

f Sag 2:11

16 In daardie dag sal die Egiptenare soos vrouens word. Hulle sal bewe en paniekbevange wees weens die dreigende hand wat Jehovah van die leërmagte teen hulle oplig.^a
17 En Egipte sal baie bang wees weens die land van Juda. As dit net genoem word, sal hulle baie bang wees as gevolg van wat Jehovah van die leërmagte teen hulle besluit het.^b

18 In daardie dag sal daar vyf stede in Egipte wees wat die taal van Kanaän praat^c en wat sweer om lojaal te wees aan Jehovah van die leërmagte. Een van die stede sal die Stad van Verwoesting genoem word.

19 In daardie dag sal daar 'n altaar vir Jehovah in die middel van Egipte wees, en 'n pilaar vir Jehovah by sy grens.
20 Dit sal 'n teken en 'n getuie vir Jehovah van die leërmagte in Egipte wees, want hulle sal tot Jehovah roep weens die onderdrukkers, en hy sal vir hulle 'n redder stuur, 'n groot redder, wat hulle sal red. **21** En Jehovah sal aan die Egiptenare bekend word, en die Egiptenare sal Jehovah in daardie dag leer ken, en hulle sal offerandes en gawes bring en aan Jehovah 'n gelofte maak en dit betaal.
22 Jehovah sal Egipte tref^d – hy sal dit tref en genees. En hulle sal na Jehovah terugkeer, en hy sal na hulle smeekbede luister en hulle genees.

23 In daardie dag sal daar 'n grootpad^e wees van Egipte na Assirië. Dan sal Assirië na Egipte kom, en Egipte na Assirië, en Egipte sal God saam met Assirië dien. **24** In daardie dag sal Israel die derde wees saam met Egipte en Assirië,^f 'n seën op die aarde, **25** want Jehovah van die leërmagte sal dit seën en sê: "Mag my volk,

Egipte, en die werk van my hande, Assi'rië, en my erfdeel, Israel, geseënd wees.”^a

20 In die jaar toe koning Sargon van Assi'rië die Tartan* na Asdod^b gestuur het, het hy teen Asdod geveg en dit ingeneem.^c **2** In daardie tyd het Jehovah deur Jesaja,^d die seun van Amos, gesê: “Verwyder die saklinne wat om jou heupe is, en trek jou sandale uit.” En hy het dit gedoen en het kaal* en kaalvoet rondge-loop.

3 Jehovah het toe gesê: “Net soos my kneg Jesaja drie jaar lank kaal en kaalvoet rondge-loop het as 'n teken^e en 'n voor-teken teen Egipte^f en Etiopië,^g **4** so sal die koning van Assi'rië die gevangenes van Egipte^h en die ballinge* van Etiopië wegvoer, seuns en ou manne, kaal en kaalvoet en met 'n kaal sitvlak – ja, Egipte sal skaam kry.”^h **5** En hulle sal doodbang wees en hulle skaam vir Etiopië, hulle hoop, en vir Egipte, hulle trots.* **6** Die inwoners van hierdie kusland sal in daardie dag sê: ‘Kyk wat gebeur het met ons hoop, waarheen ons gevlug het om hulp te kry en om gered te word van die koning van Assi'rië! Hoe sal ons nou gered word?’”

21 'n Oordeelsboodskap teen die wildernis van die see:^{*i}

Dit kom soos stormwinde wat deur die suide waai, uit die wildernis, uit 'n skrikwekkende land.^j

2 'n Vreeslike visioen is aan my oorgedra:

20:1 *Of “bevelvoerder”. **20:2** *Of “in sy onderklere”. **20:4** *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. “Lett. “die naaktheid van Egipte”. **20:5** *Of “wie se prag hulle bewonder het”. **21:1** *Verwys blykbaar na die streek van eertydse Babilonië.

HFST. 19

a De 32:9
Ps 115:12
Jes 61:9

HFST. 20

b Jos 13:2, 3

c Am 1:8

d Jes 1:1

e Jes 8:18

f Jes 19:1

g Jes 18:1

h Jes 19:4

HFST. 21

i Jes 13:1, 20

j Jes 13:4, 18

Tweede kol.

a Jer 51:11, 28
Da 5:28, 30

b Ps 137:1
Jes 14:4, 7
Jes 35:10

c Hab 3:16

d Da 5:1

e Ese 3:17
Hab 2:1

f Jer 50:3, 9
Jer 51:27, 28

g Jes 13:19
Jes 14:4
Jes 45:1
Jer 51:8
Da 5:28, 30
Op 14:8
Op 18:2

h Jer 50:2
Jer 51:44, 52

Die een wat bedrieglik is, tree bedrieglik op, en die vernietiger vernietig. Trek op, o Elam! Beleër, o Medië!^a

Ek sal 'n einde maak aan al die lyding wat sy veroorsaak het.^b

3 Daarom het ek baie pyn.^c Krampe het my oorval, soos die krampe van 'n vrou wat geboorte gee.

Ek is te ontsteld om te hoor. Ek is te geskok om te sien.

4 My hart klop in my keel, ek bewe van vrees. Die skemer waarna ek verlang het, maak my bang.

5 Dek die tafel en maak die sitplekke gereed!

Eet en drink!^d Staan op, o leiers, salf* die skild!

6 Want dit is wat Jehovah vir my gesê het:

“Laat iemand wag staan, en laat hom vertel wat hy sien.”

7 En hy het 'n strydwa met 'n span perde gesien, 'n strydwa met donkies, 'n strydwa met kamele.

Hy het mooi gekyk en noukeurig aandag geskenk.

8 Toe het hy soos 'n leeu uitgeroep:

“Die hele dag staan ek op die wagtoring, o Jehovah, en elke nag bly ek op my wagpos.^e”

9 Kyk na wat daar aankom: Manne in 'n strydwa met 'n span perde!^f

Toe het hy uitgeroep: “Sy het geval! Babilon het geval!^g”

Al die beelde van haar gode lê stukkend op die grond!^h

21:5 *Of “smeer olie aan”.

10 O my volk wat vertrap* is, die graan[#] van my dorsvloer,^a ek het julle vertel wat ek by Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, gehoor het.

11 'n Oordeelsboodskap teen Duma:*

Iemand roep na my van Seir^b af:

“Wag, hoe lank voor die nag verby is?”

Wag, hoe lank voor die nag verby is?”

12 Die wag het gesê:

“Die oggend kom, en ook die nag.

As julle iets wil vra, vra. Kom weer!”

13 'n Oordeelsboodskap teen die woestynvlakte:

In die woud in die woestynvlakte sal julle oornag, o karavane van Dedan.^c

14 Neem water vir die een wat dors is, o inwoners van die land Tema,^d en neem kos* vir die een wat vlug.

15 Want hulle het vir die swaard gevlug, vir die swaard wat uitgetrek is, vir die boog wat gespan is en vir die wreedheid van die oorlog.

16 Want dit is wat Jehovah vir my gesê het: “Binne een jaar, bereken volgens die jare van 'n gehuurde werker,* sal al die heerlikheid van Kedar^e tot 'n einde kom. **17** Daar sal net 'n paar boogskutters onder die

21:10 *Lett. “gedors”. [#]Lett. “seun”. **21:11** *Betekén “stilte”. **21:14** *Lett. “brood”. **21:16** *Of “so sorgvuldig afgelê soos 'n gehuurde werker sou doen”, d.w.s. presies een jaar.

HFST. 21
a 1Kn 8:46

b Ge 32:3
De 2:8
Ps 137:7

c Jer 25:17, 23

d Job 6:19
Jer 25:17, 23

e Ge 25:13
Ps 120:5
Hgl 1:5
Jes 42:11
Jer 49:28
Ese 27:21

Tweede kol.

HFST. 22
a Jer 6:6

b Jes 3:1
Jer 38:2
Klg 4:9

c 2Kn 25:4, 5

d 2Kn 25:11

e Jer 4:19
Jer 8:18, 19
Jer 9:1

f Mi 1:8, 9

g Mi 7:4

h 2Kn 25:10
Ne 1:3

i Ge 10:22

j 2Kn 16:9

vegters van Kedar oorbly, want dit is wat Jehovah, die God van Israel, gesê het.”

22 'n Oordeelsboodskap teen die Vallei van die Visioen:*

Wat is fout met julle? Hoekom het julle almal op die dakke geklim?

2 Jy was vol onrus, 'n lawaaierige stad, 'n vreugdevolle stad.

Dié wat in jou gesterf het, is nie met die swaard doodgemaak nie, en hulle het ook nie in die oorlog gesterf nie.^b

3 Al jou wrede regeerders het saam gevlug.^c Hulle is sonder 'n boog gevangene geneem.

Almal wat gevind is, is gevangene geneem,^d al het hulle ver weg gevlug.

4 Daarom het ek gesê: “Moenie na my kyk nie. Ek gaan bitterlik huil.^e Moenie my probeer troos oor die vernietiging van die dogter* van my volk nie.^f

5 Want dit is 'n dag van verwarring en van paniek,^g en dit kom van die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, in die Vallei van die Visioen. Die muur word verwoes,^h en 'n geskree styg op na die berge.

6 Elamⁱ tel die pylkoker op en kom met bemande strydwaens en perde,* en Kir^j verwyder die bedekking van die skild.[#]

22:1 *Verwys blykbaar na Jerusalem. **22:4** *Digterlike verpersoonliking, moontlik om jammerte of simpatie uit te druk. **22:6** *Of “perderuiters”. [#]Of “maak die skild gereed”.

7 Jou beste valleie sal vol strydwaens wees, en die perderuiters* sal hulle plekke by die poort inneem,

8 en die beskerming* van Juda sal weggeneem word.

“In daardie dag sal julle na die wapenvoorraad van die Huis van die Woud^a kyk, **9** en julle sal al die gate in die muur van die Stad van Dawid^b sien. En julle sal die water van die onderste dam opgaan.^c **10** Julle sal die huise van Jerusalem tel en huise afbreek om die muur te versterk. **11** En julle sal ’n opvangdam tussen die twee more vir die water van die ou dam maak, maar julle sal nie hulp soek by die Groot Maker daarvan nie, en julle sal nie dink aan die Een wat lank gelede besluit het dat dit so moet wees nie.

12 In daardie dag sal die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, beveel dat daar gehuil en getreure word,^d dat koppe kaalgeskeer word en dat saklinne gedra word.

13 Maar nou word daar feesgevier en gejuig. Beeste word doodgemaak en skape word geslag. Vleis word geëet en wyn word gedrink.^e ‘Laat ons eet en drink, want môre gaan ons sterf.’”^f

14 Toe het Jehovah van die leërmagte die volgende aan my geopenbaar: “‘Totdat julle sterf, sal daar nie versoening vir julle oortreding wees nie,’^g sê die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte.”

15 Dit is wat die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmag-

HFST. 22

a 1Kn 7:1, 2

b 2Kn 25:9, 10
Jer 52:7

c Ne 3:15

d Jl 2:17

e Jes 5:12
Jes 56:12
Am 6:1, 4
Lu 17:27
Jak 5:5

f 1Kor 15:32

g Le 26:31
Jes 1:11
Jer 15:1
Ese 24:13

Tweede kol.

a 2Kn 18:37
2Kn 19:2

b 2Kn 18:26, 37

c Ge 41:41, 42
Est 8:15

d Op 3:7

e Jes 22:15, 17

te, sê: “Gaan na hierdie bestuurder, na Sebna,^a wat toesig hou oor die paleis, en sê: **16** ‘Wat is hier wat aan jou behoort, en wie is hier wat aan jou behoort dat jy hier vir jou ’n graf uitgekop het?’ Hy kap sy graf op ’n hoë plek uit. Hy kap vir hom ’n rusplek in ’n krans uit. **17** ‘Kyk! Jehovah sal jou met geweld neergooi. Hy sal jou gryp en **18** jou styf oprol en jou soos ’n bal in ’n uitgestrekte land gooi. Daar sal jy sterf, en daar sal jou pragtige strydwaens wees – ’n skande vir die huis van jou meester. **19** En ek sal jou uit jou posisie verwyder en jou amp van jou af wegneem.

20 “‘In daardie dag sal ek my kneg Elja’kim,^b die seun van Hilkia, roep. **21** En ek sal jou kleed vir hom aantrek, jou lyfband stewig om hom bind^c en jou gesag aan hom* gee. En hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van Juda ’n vader wees. **22** En ek sal die sleutel van die huis van Dawid^d op sy skouer sit. Hy sal oopmaak en niemand sal sluit nie, en hy sal sluit en niemand sal oopmaak nie. **23** Ek sal hom soos ’n pen in ’n vaste plek inslaan, en hy sal soos ’n troon van heerlikheid vir die huis van sy vader word. **24** En hulle sal al die heerlikheid van die huis van sy vader aan hom hang, die nakomelinge en die nageslag, al die klein houters, die komme en ook die groot kruike.

25 “‘In daardie dag,’ sê Jehovah van die leërmagte, ‘sal die pen wat in ’n vaste plek ingeslaan is, verwyder word,^e en dit sal afgekap word en val, en die vraag wat daaraan hang, sal stukkend val, want dit is wat Jehovah gesê het.’”

22:7 *Of “perde”. 22:8 *Of “skerm”.

22:21 *Lett. “in sy hand”.

23 'n Oordeelsboodskap teen Tirus:^a

Huil, o skepe van Tarsis!^b

Want die hawe is verwoes.

Dit is nie moontlik om daar in te gaan nie.

In die land Kittim^c is dit aan hulle geopenbaar.

2 Bly stil, o inwoners van die kusland.

Die handelaars van Sidon^d wat oor die see vaar, het jou ryk gemaak.

3 Die graan van Sihor^{*e} en die oes van die Nylrivier, jou bron van inkomste, is oor baie waters vervoer en het wins vir die nasies gebring.^f

4 Skaam jou, o Sidon, vesting van die see,

want die see het gesê:

“Ek het nie geboortepyne gehad nie, en ek het nie geboorte gegee nie.

Ek het ook nie jong manne grootgemaak of jong vroue opgevoed nie.”^g

5 Mense sal angstig wees weens die berig oor Tirus,^h

net soos toe mense die berig oor Egipteⁱ gehoor het.

6 Vaar na Tarsis!

Huil, o inwoners van die kusland!

7 Is dit julle stad wat altyd vol vreugde was, van haar vroeë tye af?

Haar voete het haar na verlande geneem om daar te woon.

8 Wie het hierdie besluit geneem teen Tirus, die stad wat krone uitgedeel het, wie se koopmanne leiers was, wie se handelaars regoor die aarde geëer was?

HFST. 23

a Jer 25:17, 22
Jer 47:4
Ese 26:3
Ese 27:2
Jl 3:4
Am 1:9, 10
Sag 9:3, 4

b 2Kr 9:21
Ese 27:25

c Ge 10:2, 4
Jer 2:10
Ese 27:6

d Ge 10:15
Ese 27:8

e Jer 2:18

f Ese 27:32, 33
Ese 28:4

g Jer 47:4

h Ese 27:35
Ese 28:19

i Jes 19:1, 16

j Ese 28:2

Tweede kol.

a Da 4:37
Jak 4:6

b Jes 23:1
Ese 26:14, 17

c Ese 26:5, 15

d Ese 26:13

e Ese 27:6

f Jes 13:19
Hab 1:6

g Jes 10:12
Na 3:18
Sef 2:13

h Ese 26:8, 9

i Jes 23:1

j Jer 25:8, 11
Jer 27:3, 6

9 Jehovah van die leërmagte het hierdie besluit geneem, om haar trots oor haar pragweg te neem, om almal wat regoor die aarde geëer is, te verneder.^a

10 Stroom oor jou land soos die Nylrivier, o dogter van Tarsis.

Daar is nie meer 'n skeeps-werf* nie.^b

11 Hy het sy hand oor die see uitgesteek.

Hy het koninkryke geskud. Jehovah het beveel dat Fenisië se vestings verwoes moet word.^c

12 En hy sê: “Jy sal nie meer vreugdevol wees nie,^d o onderdrukte, o maagdelike dogter van Sidon. Staan op, vaar na Kittim.^e Selfs daar sal jy geen rus vind nie.”

13 Kyk! Die land van die Galdeërs.^f

Dit is die volk – dit was nie Assirië^g nie.

Hulle het haar 'n plek vir woestyndiere gemaak.

Hulle het hulle beleëringstorings opgerig.

Hulle het haar versterkte torings afgebreek^h en 'n ruïne van haar gemaak.

14 Huil, o skepe van Tarsis, want julle vesting is verwoes.ⁱ

15 In daardie dag sal Tirus 70 jaar lank vergeet word,^j die leeftyd van 'n koning. Aan die einde van 70 jaar sal dit met Tirus gaan soos in die lied van 'n prostituut:

16 “Neem 'n harp, stap rond in die stad, o vergete prostituut.

Speel so goed as wat jy kan op jou harp.

Sing baie liedjies, sodat hulle jou sal onthou.”

17 Aan die einde van 70 jaar sal Jehovah aandag skenk aan Tirus, en sy sal haarself weer uithuur en prostitusie pleeg met al die koninkryke van die aarde. **18** Maar haar wins en haar loon sal vir Jehovah iets heiligs word. Dit sal nie gebêre of opgespaar word nie, want haar loon sal wees vir dié wat voor Jehovah woon, sodat hulle genoeg kan hê om te eet en mooi klere kan dra.^a

24 Kyk! Jehovah maak die land* leeg en verwoes dit.^b

Hy keer dit onderstebo^c en verstrooi sy inwoners.^d

2 Dit sal dieselfde wees vir almal:

die volk en die priester, die kneg en sy meester, die diensmeisie en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar.^e

3 Die land sal heeltemal leeggemaak word.

Dit sal heeltemal gestroop word,^f want dit is wat Jehovah gesê het.

4 Die land treur,^g dit teer weg.

Die vrugbare land verdor, dit verdroog. Die belangrike mense van die volk verdwyn.

5 Die land is deur sy inwoners onrein gemaak,^h

HFST. 23

a Jes 60:5

HFST. 24

b Jes 5:5

Jer 4:6

Ese 6:6

c 2Kn 21:13

d De 28:63, 64

Ne 1:8

Jer 9:16

e Ese 7:12, 13

f Le 26:31

De 29:28

g Jer 4:28

Klg 1:4

h Le 18:24

Nu 35:33, 34

2Kr 33:9

Jer 3:1

Jer 23:10, 11

Klg 4:13

Tweede kol.

a 2Kn 22:13

Da 9:5

b Mi 3:11

c Eks 19:3, 5

Eks 24:7

Jer 31:32

Jer 34:18-20

d Le 26:15, 16

e De 4:27

De 28:15, 62

f Jer 8:13

Jl 1:10

g Jes 32:12

h Jer 7:34

i 2Kn 25:8-10

j Klg 5:15

k Jes 32:14

Jer 9:11

Klg 1:4

Klg 2:8, 9

l De 24:20

m Jer 6:9

Ese 6:8

want hulle het die wette geïgnoreer,^a

die wetsvoorskrifte verander^b

en die permanente verbond verbreek.^c

6 Daarom word die land deur die vloek verteer,^d en sy inwoners word skuldig bevind.

Daarom het die inwoners van die land al hoe minder geword.

Daar is baie min mense oor.^e

7 Die nuwe wyn treur,^{*} die wingerdstok verdroog,^f almal wat vreugdevol was, sug.^g

8 Die vreugde van die tamboeryne is weg, die lawaai van dié wat feesvier, het opgehou, die vrolike klanke van die harp het verdwyn.^h

9 Daar is nie meer liedjies wanneer hulle wyn drink nie, en die drank wat hulle drink, smaak bitter.

10 Die verlate stad is afgebreek.ⁱ Elke huis is toe, en niemand kan daar ingaan nie.

11 In die strate skree hulle vir wyn. Alle vrolikheid het verdwyn. Daar is nie meer vreugde in die land nie.^j

12 Die stad is heeltemal verwoes.

Die poort is afgebreek en is net 'n hoop klippe.^k

13 Want dié is hoe dit in die land sal wees, onder die volke: soos wanneer 'n olyfboom geslaan word,^l soos wanneer die laaste druiwe ingesamel word ná die oes.^m

24:1 *Of "aarde". Verwys blykbaar na Juda en Jerusalem. 24:4 *Of moontlik "verdroog".

24:7 *Of moontlik "droog op".

- 14** Hulle sal uitroep.
Hulle sal juig van vreugde.
In die weste* sal hulle
die majesteit van Jehovah
verkondig.^a
- 15** Daarom sal hulle Jehovah in
die ooste* verheerlik.^b
Op die eilande van die see
sal hulle die naam van Je-
hovah, die God van Israel,
loof.^c
- 16** Van die eindes van die aarde
af hoor ons hoe daar ge-
sing word:
“Heerlikheid aan die
Regverdige!”^d
Maar ek sê: “Ek teer weg!
Ek teer weg!
Dit is verby met my! Die
bedrieglikes het bedrieg-
lik opgetree.
Met bedrieglikheid het hulle
bedrieglik opgetree.”^e
- 17** Vrees en vanggate en strik-
ke wag op jou, o inwoner
van die land.^f
- 18** Elkeen wat vir die skrikwek-
kende geluid vlug, sal in
die vanggat val,
en elkeen wat uit die vang-
gat klim, sal in die strik
gevang word.^g
Want die sluise van die he-
mel sal oopgemaak word,
en die fundamente van die
land sal bewe.
- 19** Die land het uitmekaar-
geskeur.
Die land is heen en weer
geskud.
Die land ruk en bewe
verskriklik.^h
- 20** Die land slinger soos
'n dronk man,
en dit swaai heen en weer
soos 'n hut in die wind.
Die land se oortredings is
'n swaar las daarop.ⁱ

24:14 *Lett. “Van die see af”. 24:15
*Of “streek van die lig”.

HFST. 24

a Jes 40:9
Jer 31:12
Jer 33:10, 11

b Jes 43:5

c Jes 11:11
Jes 60:9

d Eks 15:11
Esr 9:15
Ps 145:7
Op 15:3

e Jer 9:2, 3

f Jer 8:3
Ese 14:21

g Jer 48:44

h Jer 4:24

i 2Kn 21:16
2Kr 36:15, 16
Jer 14:20

Tweede kol.

a Op 21:23

b Ps 97:1
Op 11:17

c Ps 132:13
Jes 12:6
Jl 3:17
Mi 4:7
Sag 2:10

d 1Kn 8:11

HFST. 25

e Ps 40:5
Ps 98:1
Ps 107:8
Ps 145:1, 4

f Ps 33:11

g De 32:4
Ne 9:33

h Ps 46:10
Ps 66:3
Ese 38:23

i Ps 46:1
Na 1:7
Sef 3:12

Dit sal val en nie weer
opstaan nie.

- 21** In daardie dag sal Jehovah
sy oordeel bring oor die
leërmagte van die hoogte
en oor die konings van die
aarde.
- 22** En hulle sal versamel word
soos gevangenes in 'n don-
ker gat.
En hulle sal in die gevange-
nis opgesluit word.
Ná 'n lang tyd sal daar aan
hulle aandag gegee word.
- 23** Die volmaan sal skaam
wees,
en die stralende son sal
skaam kry,^a
want Jehovah van die leë-
magte het Koning geword^b
op die berg Sion^c en in
Jerusalem.
Hy is vol heerlikheid voor
die ouerманne van sy
volk.^d
- 25** O Jehovah, u is my God.
Ek verheerlik u, ek prys
u naam,
want u het wonderlike dinge
gedoen^e
– dinge wat lank gelede
besluit is^f –
in getrouheid,^g in betrou-
baarheid.
- 2** Want u het 'n stad in 'n hoop
klippe verander,
'n versterkte stad in
'n ruïne.
Die vesting van die uitlan-
der is nie meer 'n stad nie.
Dit sal nooit herbou word
nie.
- 3** Daarom sal 'n sterk volk u
verheerlik.
Die stad van onderdrukken-
de nasies sal u vrees.^h
- 4** Want u het 'n vesting vir die
hulpelose geword,
'n vesting vir die arme in
moeilike tye,ⁱ

'n skuilplek teen die reënstorm
en 'n skaduwee teen die hitte.^a

Wanneer die geblaas van die onderdrukkers soos 'n reënstorm teen 'n muur is,

5 soos die hitte in 'n dorre land,

maak u die geraas van vreemdelinge stil.

Net soos die hitte wat deur die skaduwee van 'n wolk verdryf word, so word die lied van die onderdrukkers stilgemaak.

6 Op hierdie berg^b sal Jehovah van die leërmagte vir al die volke

'n feesmaal voorberei met heerlike* geregte,^c

'n feesmaal met goeie[#] wyn, met heerlike geregte vol murg, met goeie, gesuiwerde wyn.

7 Op hierdie berg sal hy die sluier vernietig wat al die volke bedek, die bedekking* wat oor al die nasies is.

8 Hy sal die dood vir ewig wegneem,^d en die Soewereine Heer Jehovah sal die trane van alle gesigte afvee.^e

Hy sal die vernedering wat sy volk verduur, van die hele aarde af wegneem, want dit is wat Jehovah gesê het.

9 In daardie dag sal hulle sê: "Kyf! Dit is ons God!"^f

Ons het op hom gehoop,^g en hy sal ons red.^h Dit is Jehovah!

Ons het op hom gehoop. Laat ons bly en vreugdevol wees omdat hy ons red."ⁱ

25:6 *Of "olieryke". #Of "beleë".
25:7 *Of "sluier".

HFST. 25

a Ps 91:1
Ps 121:5-7
Jes 49:10

b Jes 11:9
Jes 65:25

c Ps 72:16
Ps 85:11, 12
Jer 31:12

d Ho 13:14
1Kor 15:54
2Ti 1:10
Op 20:14

e Jes 35:10
Op 7:17
Op 21:4

f Jes 25:1

g Ps 37:34
Ps 146:5

h Mi 7:7

i Ps 20:5
Sef 3:14, 15

Tweede kol.

a Ps 132:13, 14
Jes 12:6

b Jes 15:1
Sef 2:9

c Jer 48:29
Jak 4:6

HFST. 26

d Jer 33:10, 11

e Eks 15:1
2Sa 22:1
Jes 12:5

f Ps 48:2, 12

g Jes 60:18
Sag 2:4, 5

h Jes 60:11

i Ps 119:165
Jes 54:13
Flp 4:6, 7

j Ps 9:10
Jer 17:7

k 2Kr 20:20
Ps 62:8
Spr 3:5

l De 32:4, 31

10 Want die hand van Jehovah sal op hierdie berg rus,^a en Moab sal op sy plek vertrap word^b

soos strooi in 'n mishoop ingetrap word.

11 Hy sal sy hande uitsteek soos 'n swemmer sy hande uitsteek om te swem.

Hy sal 'n einde aan hulle hoogmoed maak^c deur hulle met sy vaardige hande te slaan.

12 En die versterkte stad, met sy hoë, veilige mure, sal hy vernietig.

Hy sal dit afbreek tot op die grond, tot in die stof.

26 In daardie dag sal hierdie lied in die land van Juda^d gesing word:^e

"Ons het 'n sterk stad.^f God se redding is soos die mure en die vestingwal daarvan.^g

2 Maak op die poorte,^h sodat die regverdige nasie kan ingaan,

'n nasie wat getrou is.

3 U sal dié beskerm wat ten volle op u vertrou.* U sal hulle blywende vrede geeⁱ

omdat hulle op u vertrou.^j

4 Vertrou vir ewig op Jehovah,^k want Jah* Jehovah is die ewige Rots.^l

5 Want hy het die bewoners van die hoogte, die verheewe stad, verneder.

Hy verneder dit, hy verneder dit tot in die grond.

Hy gooi dit in die stof.

6 Voete sal dit vertrap,

26:3 *Of moontlik "wat 'n standvastige gesindheid het". 26:4 *"Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah.

die voete van die armes,
die voetsole van die
hulpeloses.”

- 7** Die pad van die regverdige
is reguit.*

Omdat u regverdig is,
sal u die weg van die reg-
verdige gelykmaak.

- 8** Ons volg die pad van u
oordele, Jehovah.

Ons hoop op u.

Ons verlang na u naam en
u herinnering.*

- 9** In die nag verlang ek na u
met my hele hart en siel.
Ja, met my diepste wese
soek ek na u,^a

want wanneer u oordele
oor die aarde kom,
leer die bewoners van die
land wat regverdigheid is.^b

- 10** Selfs as genade aan die god-
delose betoon word,
sal hy nie leer wat reg
is nie.^c

Hy sal selfs in die land van
regverdigheid goddeloos
optree,^d

en hy sal nie die majesteit
van Jehovah sien nie.^e

- 11** O Jehovah, u het u hand
opgelig, maar hulle sien
dit nie.^f

Hulle sal u ywer vir u volk
sien, en skande sal oor
hulle kom.

Ja, u vuur sal u vyande
verteer.

- 12** O Jehovah, u sal vir ons
vrede gee,^g
want alles wat ons gedoen
het,
het u vir ons moontlik
gemaak.

- 13** O Jehovah ons God, ander
meesters as u het oor ons
regeer,^h
maar ons loof net u naam.ⁱ

26:7 *Of “gelyk”. 26:8 *D.w.s. dat
God en sy naam onthou moet word, be-
kend gemaak moet word.

HFST. 26

a Ps 63:6
Ps 119:62
Lu 6:12

b Ps 9:8
Ps 58:10, 11
Ps 85:11, 13
Ps 96:13
Ps 97:2
Jes 61:11

c Ps 106:43

d Jer 2:7
Ho 11:7

e Ps 28:5
Jes 5:12

f Jes 6:9

g Jes 57:19
Jer 33:6, 7

h 2Kr 12:7, 8

i 2Ti 2:19

Tweede kol.

a Jer 51:39

b Jes 60:21

c 1Kn 4:21

d Ps 78:34, 35
Ho 5:15

e Jes 25:8
Ho 13:14
Mr 12:26
Joh 5:28, 29
Joh 11:24, 25
Han 24:15
1Kor 15:21
1Te 4:14
Op 20:12, 13

f Ge 3:19

- 14** Hulle is dood. Hulle sal nie
lewe nie.

Hulle is magteloos in die
dood. Hulle sal nie op-
staan nie.^a

Want u het met hulle
afgereken

en hulle vernietig, en mense
sal hulle nie meer onthou
nie.

- 15** U het die nasie groot laat
word, o Jehovah,
u het die nasie groot laat
word.

U het uself verheerlik.^b

U het al die grense van die
land ver uitgebrei.^c

- 16** O Jehovah, in moeilike tye
het hulle by u hulp gesoek.
Hulle het fluisterend gebid
toe u hulle gedissiplineer
het.^d

- 17** Net soos 'n swanger vrou
wat geboortepyne het
en uitroep van pyn
wanneer sy op die punt
staan om geboorte te gee,
so was ons as gevolg van u,
o Jehovah.

- 18** Ons het swanger geword,
ons het geboortepyne
gehad,
maar dit is asof ons aan
wind geboorte gegee het.
Ons het geen redding vir
die land gebring nie,
en niemand is gebore om in
die land te woon nie.

- 19** “Julle dooies sal lewe.
My lyke sal opstaan.^e
Word wakker en roep
vreugdevol uit,
julle wat in die stof woon!^f
Want julle dou is soos die
oggenddou,^{*}
en die aarde sal dié wat
magteloos is in die dood,
laat lewe.[#]

26:19 *Of moontlik “die dou van kruie”.
#Of “sal geboorte gee aan dié wat
magteloos is in die dood”.

- 20** Gaan in julle binnekamers in, my volk, en sluit julle deure agter julle toe.^a
Verberg julle vir net 'n oomblik, totdat die woede* verby is.^b
- 21** Want kyk! Jehovah kom uit sy plek om die inwoners van die land te straf vir hulle oortreding, en die land se bloedskuld sal aan die lig kom, en dié wat daarin doodgemaak is, sal nie langer weggesteek word nie.”
- 27** In daardie dag sal Jehovah met sy skerp, groot, sterk swaard^c afreken met die Levia'tan,^{*} die seilende slang, en hy sal die monster wat in die see is, doodmaak.
- 2** Sing in daardie dag vir haar:^{*}
“n Wingerd van skuimende wyn!^d
- 3** Ek, Jehovah, beskerm haar.^e Ek gee haar heelyd water.^f Ek beskerm haar dag en nag, sodat niemand haar skade kan aandoen nie.^g
- 4** Ek is nie meer kwaad vir haar nie.^h
As iemand met doringbosse en onkruid teen my kom, sal ek teen hom veg, en ek sal hulle vertrap en aan die brand steek.
- 5** Laat hy eerder stewig vas-hou aan my vesting.
Laat hy met my vrede maak.

26:20 *Of “veroordeling”. **27:1, 9**
*Sien Woordelys. **27:2** *Verwys blykbaar na Israel, wat afgebeeld word as 'n vrou en wat met 'n wingerd vergelyk word.

HFST. 26

a Ge 7:15, 16
Eks 12:22, 23
Spr 18:10

b Ps 27:5
Ps 91:4

HFST. 27

c De 32:41
Jer 47:6

d Ps 80:8
Jes 5:1
Jer 2:21

e De 33:29

f Jes 35:6
Jes 41:18
Jes 58:11

g Ps 121:4
Jes 46:3, 4

h Ps 85:2, 3
Jes 12:1

Tweede kol.

a Ese 39:25
Ho 14:5

b Jes 60:21, 22
Jer 30:18, 19

c Jer 4:11
Ese 13:13

d Jes 4:4
Jes 48:10

e Mi 5:13, 14

f Jes 6:11, 12
Jer 26:18
Klg 2:5
Ese 36:4

g Jes 32:14

h De 32:28
Jes 1:3
Jer 4:22
Ho 4:6

i 2Kr 36:15, 16
Ese 9:9, 10

Hy moet met my vrede maak.”

- 6** In die dae wat kom, sal Jakob wortelskiet.
Israel sal bloeiseis voort-bring en uitspruit,^a en hulle sal die land met opbrengs vul.^b
- 7** Moet hy geslaan word soos wat hy geslaan word?
Of moet hy doodgemaak word soos dié van hom wat doodgemaak is?
- 8** Met 'n skrikwekkende uit-roep sal u met haar stry wanneer u haar wegstuur.
Hy sal haar uitdryf met 'n kragtige wind op die dag van die oostewind.^c
- 9** So sal daar versoening ge-doen word vir die oortreding van Jakob,^d en dit sal die volle vrug wees wanneer sy sonde weggeneem word:
Hy sal al die altaarklippe soos fyngemaalde kryt-klippe maak, en daar sal geen heilige pale* of reukwerkstaanders oorbly nie.^e
- 10** Want die versterkte stad sal onbewoon wees.
Die weivelde sal leeg en verlate wees soos 'n wildernis.^f
Daar sal die kalf wei en gaan lê en haar takke kaalvreet.^g
- 11** Wanneer haar takkies verdroog het, sal vrouens dit kom afbreek en vuur daarmee maak.
Want hierdie volk het geen insig nie.^h
Daarom sal hulle Maker geen genade aan hulle betoon nie, en die Een wat hulle gevorm het, sal nie vir hulle jammer voel nie.ⁱ

12 In daardie dag sal Jehovah die vrugte afslaan, van die vloeiende stroom van die Rivier* af tot by die Vallei[#] van Egipte,^a en julle sal die een ná die ander ingesamel word, o Israel.^b 13 In daardie dag sal daar op 'n groot horing geblaas word,^c en dié wat in Assirië verstaan^d en dié wat in Egipte verstrooi is,^e sal kom en voor Jehovah neerbuig op die heilige berg in Jerusalem.^f

28 Dit sal sleg gaan met die trotse kroon* van die dronkaards van E'fraim^g

en met die pragtige versiering wat verlep soos 'n blom

en wat rus op die bopunt van die vrugbare vallei van dié wat bedwelm is deur die wyn!

2 Kyk! Jehovah stuur iemand wat sterk en magtig is.

Soos 'n donderende haelstorm, 'n vernietigende windstorm,

soos 'n donderstorm wat alles wegspoel, sal hy dit met geweld op die grond neergooi.

3 Die trotse kroon van die dronkaards van E'fraim sal vertrap word.^h

4 En die pragtige versiering wat verlep soos 'n blom en wat rus op die bopunt van die vrugbare vallei, sal word soos die vroeë vy voor die somer.

Wanneer iemand dit sien, pluk hy dit en eet hy dit dadelik op.

5 In daardie dag sal Jehovah van die leërmagte 'n glorieryke

27:12 *Die Eufraatrivier. [#]Of "Wadi". Sien Woordelys. 28:1 *Verwys blykbaar na die hoofstad, Samaria.

HFST. 27

a Nu 34:2, 5

b De 30:3
Ne 1:9
Jes 11:11, 12
Am 9:14

c Jes 49:22
Jes 62:10

d 2Kn 17:6
Jes 11:16
Ho 9:3

e Jer 43:4, 7
Sag 10:10

f Jes 2:3
Jes 25:6
Jes 52:1
Jer 3:17

HFST. 28

g Jes 7:2

h 2Kn 17:6
Jes 17:3

Tweede kol.

a Jes 11:16

b Ps 18:34
Ps 68:35

c 2Kn 16:10, 11
Jer 5:31

d 2Kn 21:13
Jes 28:17
Klg 2:8

e De 28:49, 50
Jer 5:15
1Kor 14:21

f Ps 81:10, 11

g Jes 28:17

kroon en 'n pragtige krans word vir dié van sy volk wat oorgebly het.^a 6 En hy sal 'n gees van geregtigheid gee aan die een wat oordeel en 'n bron van krag word vir dié wat die poort teen die vyand se aanval verdedig.^b

7 Selfs hulle dwaal af weens wyn.

Die drank laat hulle slinger. Priester en profeet dwaal af weens drank.

Die wyn maak hulle verward, en die drank laat hulle slinger.

Hulle visioen laat hulle afdwaal, en hulle is nie in staat om die regte besluite te neem nie.^c

8 Want hulle tafels is vol walglike uitbraaksel – dit is oral.

9 Aan wie sal kennis gegee word, en aan wie sal die boodskap verduidelik word?

Aan dié wat nou net opgehou het om moedersmelk te drink, dié wat so pas van die bors-te wegeneem is?

10 Want dit is "gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël,^d hier 'n bietjie, daar 'n bietjie".

11 Daarom sal hy met hierdie volk praat deur middel van dié wat hakkel en dié wat 'n vreemde taal praat.^e 12 Hy het eenkeer vir hulle gesê: "Dit is die rusplek. Laat die een wat moeg is, rus. En dit is die plek om asem te skep," maar hulle wou nie luister nie.^f 13 Daarom sal Jehovah vir hulle sê:

"Gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël,^g

hier 'n bietjie, daar 'n bietjie,"

sodat hulle sal struikel en agteroor sal val wanneer hulle loop. Hulle sal gewond en verstrik en gevang word.^a

14 Hoor nou wat Jehovah sê, julle grootpraters, julle heersers van hierdie volk in Jerusalem:

15 Want julle sê:
"Ons het 'n verbond met die Dood gemaak,^b en met die Graf* het ons 'n ooreenkoms gemaak."^c
Wanneer die oorstromende stortvloed kom, sal dit ons nie bereik nie, want ons het 'n leuen ons skuilplek gemaak, en ons het agter bedrog weggekrui.^c

16 Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:
"Kyk! Ek lê as fondament in Sion 'n beproefde steen,^d die kosbare hoeksteen^e van 'n vaste fondament.^f
Niemand wat geloof beoefen, sal paniekerig raak nie.^g

17 En ek sal geregtigheid die maatlyn maak^h en regverdigheid die skietlood.ⁱ
Die hael sal die skuilplek van leuens wegvee, en die water sal die wegkruipplek wegspoel.

18 Julle verbond met die Dood sal verbreek word, en julle ooreenkoms met die Graf* sal nie bly staan nie.^j
Wanneer die oorstromende stortvloed kom,

28:15, 18 *Of "Sjeool". Sien Woordelyste. **28:15** *Of moontlik "n visioen tot stand gebring".

HFST. 28

a 2Kr 36:15, 16
Jes 8:14, 15

b Jes 28:18

c Jes 30:9, 10

d Ps 118:22

e Mt 21:42
Mr 12:10
Lu 20:17
Han 4:11

f Ef 2:19, 20

g Ro 9:33
Ro 10:11
1Pe 2:4, 6

h 2Kn 21:13

i Jer 11:20

j Jes 28:15

Tweede kol.

a Jes 24:1

b Jos 10:8-14
2Sa 5:20
1Kr 14:10-16

c Klg 2:15
Hab 1:5-7

d 2Kr 36:15, 16
Jer 20:7

e Jes 10:23
Jes 24:1

f Ps 30:5
Ps 103:9
Mi 7:18

g Eks 9:31, 32
Ese 4:9

sal julle daardeur vernietig word.

19 Elke keer as dit kom, sal dit julle wegspoel,^a want dit sal oggend ná oggend kom, in die dag en in die nag. Net vrees sal hulle laat verstaan wat hulle gehoor het."^b

20 Want die bed is te kort om jou daarop uit te strek, en die geweefde laken is te smal om jou daarin toe te draai.

21 Want Jehovah sal opstaan soos by die berg Pe'rasim. Hy sal optree soos hy in die vallei naby Gi'beon gedoen het^b om sy daad te verrig – sy vreemde daad – en om sy werk te doen – sy buitengewone werk.^c

22 Moenie spot nie,^d sodat die kettings om julle nie stywer getrek word nie, want ek het by die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, gehoor dat daar besluit is om die hele land* te verwoes.^e

23 Luister goed na my stem. Skenk aandag en luister na wat ek sê.

24 Hou 'n boer aan om te ploeg as hy saad wil saai? Hou hy aan om die grond los te maak en dit voor te berei?^f

25 Nee, nadat hy dit gelyk-gemaak het, saai hy komyn en strooi hy swartkomyn, en hy saai koring, giers en gars in hulle plek en spelt^g aan die kante.

28:19 *Of moontlik "Wanneer hulle verstaan, sal hulle vreesbevange wees". **28:22** *Of "aarde".

- 26 Want Hy leer* hom op die regte manier.
Sy God onderrig hom.^a
- 27 Want swartkomy n word nie met 'n dorslee gedors nie,^b
en 'n wawiel word nie oor komy n gerol nie.
Swartkomy n word eerder met 'n stok uitgeslaan, en komy n met 'n staf.
- 28 Word graan op die dorsvloer fyngemaal?
Nee, dit word nie aanhoudend gedors nie.^c
En wanneer perde 'n wa met rollers daaroor trek, word dit nie fyngemaal nie.^d
- 29 Dit kom ook van Jehovah van die leërmagte.
Sy raad* is wonderlik, en hy het groot dinge gedoen.^e
- 29** “Dit sal sleg gaan met A'riël.* A'riël, die stad waar Dawid se kamp was!^f
Laat jaar ná jaar verbygaan. Hou aan om julle jaarlikse feeste^g te vier.
- 2 Maar ek sal rampspoed oor A'riël bring,^h
en daar sal 'n gehuil en 'n getreur wees,ⁱ
en sy sal vir my soos die vuurherd van God se altaar word.^j
- 3 Ek sal rondom jou kamp opslaan,
en ek sal jou met 'n muur van spits pale beleër en beleëringswerke teen jou oprig.^k
- 4 Jy sal verneder word.

28:26 *Of “dissiplineer; straf”. 28:29 *Of “voorneme”. ^aOf “en sy praktiese wysheid is groot”. 29:1 *Bete ken moontlik “die vuurherd van God se altaar” en verwys blykbaar na Jerusalem.

HFST. 28

a Ps 119:71

b Jes 41:15
Am 1:3c Ps 103:9
Jes 21:10
Mi 7:18d Le 26:44
Jer 10:24e Ps 40:5
Jer 32:19
Ro 11:33

HFST. 29

f 2Sa 5:7,9

g De 16:16

h De 28:53-55

i Jes 51:19
Klg 1:4j Jer 15:14
Sef 1:7k 2Kn 24:11
2Kn 25:1

Tweede kol.

a Jes 51:23

b Jes 13:19
Jes 14:22
Jes 21:9c Jes 13:11
Jes 17:13d Jes 47:9
Jes 48:3e 1Sa 2:10
Jer 50:25
Na 1:3

f Jer 25:12, 14

- Van die grond af sal jy praat,
en wat jy sê, sal onduidelik wees as gevolg van die stof.
Jou stem sal uit die grond kom^a
soos die stem van iemand wat geeste oproep,*
en jou woorde sal soos 'n gefluister uit die stof kom.
- 5 Jou hordes vyande sal soos fyn poeier word,^b
en die hordes onderdrukkers soos die kaf wat wegwaai.^c
Dit sal skielik gebeur, in 'n oomblik.^d
- 6 Jehovah van die leërmagte sal jou red
met donderslae, aardbevinge en 'n groot lawaai, met stormwinde, orkane en die vlamme van 'n verteerende vuur.^e
- 7 Dan sal die hordes van al die nasies wat teen A'riël oorlog voer^f
– almal wat teen haar oorlog voer,
die beleëringstorings wat teen haar opgerig is en dié wat rampspoed oor haar bring –
soos 'n droom, 'n visioen in die nag, word.
- 8 Ja, dit sal wees soos wanneer iemand wat honger is, droom dat hy eet,
maar as hy wakker word, is hy honger,*
en soos wanneer iemand wat dors is, droom dat hy drink,
maar as hy wakker word, is hy moeg en dors.
So sal dit wees met die hordes van al die nasies

29:4 *Of “van 'n spiritistiese medium”.
29:8 *Of “is sy siel leeg”.

wat teen die berg Sion
oorlog voer.^a

9 Wees verstom en verbaas.^b

Verblind juleself sodat
julle niks kan sien nie.^c

Hulle is dronk, maar nie
van wyn nie.

Hulle slinger, maar nie
weens alkohol nie.

10 Want Jehovah het 'n gees
van diep slaap oor julle
laat kom.^d

Hy het julle oë, die profete,
gesluit,^e

en hy het julle koppe, die
sieners, bedek.^f

11 Elke visioen word vir jul-
le soos die woorde van 'n ver-
seëld boek.^g Wanneer hulle dit
vir iemand gee wat kan lees
en vir hom sê: "Lees dit asse-
blief hardop," sal hy sê: "Ek kan
nie, want dit is verseël." **12** En
wanneer hulle die boek vir
iemand gee wat nie kan lees nie
en vir hom sê: "Lees dit, asse-
blief," sal hy sê: "Ek kan glad nie
lees nie."

13 Jehovah sê: "Hierdie volk sê
dat hulle na aan my is,
en hulle eer my met hulle
lippe,^h

maar hulle hart is ver
van my af.

En hulle vrees vir my is ge-
baseer op gebooi van
mense, gebooi wat hulle
geleer is.ⁱ

14 Daarom is ek die Een wat
weer wonderlike dinge
met hierdie volk sal doen,^j
die een wonder ná die
ander.

En die wysheid van hulle
wyse mense sal verdwyn,
en die insig van hulle ver-
standiges sal tot 'n einde
kom."^k

15 Dit sal sleg gaan met dié
wat baie moeite doen om

HFST. 29

a Jes 10:12
Jer 51:24

b Hab 1:5

c Jes 6:9

d Jes 6:10
Ro 11:8

e Jer 14:14
Jer 27:15

f Mi 3:7

g Jes 8:16

h Jes 48:1
Jer 5:2

i Mt 15:7-9
Mr 7:6-8

j Jes 28:21
Hab 1:5

k Jer 8:9
1Kor 1:19

Tweede kol.

a Jes 30:1

b Ese 8:12

c Jes 64:8

d Jer 18:6

e Ro 9:20, 21

f Jes 35:1
Jes 41:19

g Jes 32:14, 15

h Jes 35:5
Jes 42:16

i Jes 41:16

j Mi 2:1

k Am 5:10

l Ese 13:19

hulle planne vir Jehovah
weg te steek.^a

Hulle dade word in 'n
donker plek gedoen,
en hulle sê: "Wie sien ons?
Wie weet van ons?"^b

16 Julle het 'n verdraaide
beskouing!

Moet die pottebakker be-
skou word asof hy net
soos die klei is?^c

Kan dit wat gemaak is,
van sy maker sê:

"Hy het my nie gemaak
nie"?^d

En kan dit wat gevorm is,
van sy vormer sê:

"Hy weet nie wat hy doen
nie"?^e

17 In 'n baie kort rukkie sal die
Li'banon in 'n vrugteboord
verander word,^f

en die vrugteboord sal as
'n woud beskou word.^g

18 In daardie dag sal die dowes
die woorde van die boek
hoor,

en die oë van die blindes sal
sien, bevry van die donker
en die duisternis.^h

19 Die nederiges sal groot
vreugde in Jehovah vind,
en die armes sal bly wees
oor die Heilige van Israel.ⁱ

20 Want die onderdrukker sal
nie meer daar wees nie,
die grootprater sal aan sy
einde kom

en almal wat daarop uit is
om slegte dinge te doen,
sal vernietig word.^j

21 dié wat leuens gebruik om
ander te veroordeel,
wat strikke span vir die een
wat ander in die stads-
poort verdedig^k
en wat met leë argumente
keer dat die regverdige
geregtigheid kry.^l

22 Daarom sê Jehovah, wat Abraham verlos het,^a vir die huis van Jakob:

“Jakob sal nie meer skaam kry nie,
en sy gesig sal nie meer bleek* word nie.^b”

23 Want wanneer hy sy kinders,
die werk van my hande,
by hom sien,^c
sal hulle my naam heilig.
Hulle sal die Heilige van Jakob heilig,
en hulle sal vervul wees met ontsag vir die God van Israel.^d

24 Dié wat opstandig van gees is, sal insig verkry,
en dié wat kla, sal onderrigting aanvaar.”

30 “Dit sal sleg gaan met die hardkoppige kinders,”^e sê Jehovah,

“wat planne uitvoer wat nie van my af kom nie,^f
wat ooreenkomste maak,*
maar nie onder leiding van my gees nie.

So voeg hulle die een sonde by die ander.

2 Hulle gaan na Egipte^g sonder om my te raadpleeg,^h om beskerming te soek by Farao en skuiling te soek in die skaduwee van Egipte!

3 Maar die beskerming van Farao sal vir julle skaamte veroorsaak,
en skuiling in die skaduwee van Egipte sal vernedering veroorsaak.ⁱ

4 Want sy leiers is in Soan,^j en sy boodskappers het Hanes bereik.

5 Hulle sal almal verneder word

HFST. 29

a Ne 9:7
Mi 7:20

b Jl 2:27

c Jes 45:11

d Jes 8:13
Ho 3:5

HFST. 30

e Jes 1:2
Jes 63:10
Jes 65:2

f Jes 29:15

g Jes 31:1
Ese 29:6

h Nu 27:21
1Kn 22:7

i Jer 17:5

j Jes 19:11
Ese 30:14

Tweede kol.

a Jes 31:3
Jer 2:36

b Jes 31:1
Jer 37:7, 8

c Ps 87:4
Ps 89:10

d Jes 8:1
Jer 36:2

e Ro 15:4

f De 31:27
Jes 1:4
Jer 44:3

g Jes 59:3
Jer 9:3

h 2Kr 33:10
2Kr 36:15, 16
Ne 9:29
Jer 7:13

i 2Kr 16:10
2Kr 18:7
Jer 11:21
Jer 26:11

j Jer 23:16, 17
Ese 13:7
Mi 2:11

deur 'n volk wat vir hulle geen voordeel kan bring nie,

wat geen hulp bied en geen voordeel bring nie,
maar net skaamte en skande.”^a

6 'n Oordeelsboodskap teen die diere van die suide:

Rykdom word op die rûe van donkies vervoer,
en voorrade op die bulte van kamele,
deur die land van rampspoed en moeilikheid,
van die leeu, die brullende leeu,
van die adder en die vinnige giftige* slang.

Maar hierdie dinge sal die volk nie help nie.

7 Want Egipte se hulp is heeltemal nutteloos.^b

Daarom het ek dit genoem: “Rahab,^c wat niks doen nie.”

8 “Gaan skryf dit nou in hulle teenwoordigheid op 'n skryfbordjie,
en skryf dit in 'n boek neer,^d sodat dit in die toekoms kan dien
as 'n permanente getuienis.^e

9 Want hulle is 'n opstandige volk,^f bedrieglike kinders,^g
kinders wat nie die wet* van Jehovah wil hoor nie.^h

10 Hulle sê vir die sieners: ‘Moenie visioene sien nie,’
en vir die profete: ‘Moenie vir ons voorspel wat waar is nie.’ⁱ

Vertel vir ons wat ons graag wil hoor.* Voorspel misleidende dinge.^j

11 Verlaat die weg. Dwaal van die pad af.

30:6 *Lett. “vlieënde vurige”. 30:9 *Of “onderrigting”. 30:10 *Of “vleiende dinge”.

29:22 *D.w.s. van skaamte en teleurstelling. 30:1 *Lett. “'n drankoffer uitgooi”.

Hou op om met ons te praat oor die Heilige van Israel.”^a

- 12** Daarom sê die Heilige van Israel:
 “Omdat julle hierdie woord verwerp^b
 en julle op leuens en bedrog vertrou
 en daarop steun,^c
- 13** sal hierdie oortreding vir julle soos ’n gebreekte muur wees,
 soos ’n hoë muur wat uitbult en reg is om te val.
 Dit sal skielik val, in ’n oomblik.
- 14** Dit sal soos ’n groot klei-houer gebreek word.
 Dit sal so stukkend geslaan word dat daar nie eers ’n stukkie sal oorbly waarmee vuur uit die vuurmaakplek gekrap kan word of water uit ’n poeletjie* geskep kan word nie.”
- 15** Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah, die Heilige van Israel, sê:
 “As julle na my toe terugkeer en rustig is, sal julle gered word.
 Julle krag sal daarin lê dat julle kalm bly en vertrou het.”^d
 Maar julle wou nie.^e
- 16** Julle het eerder gesê: “Nee, ons sal op perde vlug!”
 En daarom sal julle vlug.
 “Ons sal op vinnige perde ry!”^f
 En daarom sal julle agtervolgers vinnig wees.^g
- 17** ’n Duisend sal bewe as een julle bedreig.^h
 As vyf julle bedreig, sal julle vlug
 totdat dié van julle wat oorbly, soos ’n paal op ’n bergtop

HFST. 30

a Am 7:13, 16

b Am 2:4, 5

c Jer 13:25
 Mi 3:11

d 1Kr 5:20
 2Kr 16:8
 Jes 26:3

e Mt 23:37
 Han 7:51

f Jes 31:1, 3

g De 28:49, 50
 Jer 4:13
 Klg 4:19
 Hab 1:6, 8

h Le 26:36
 De 32:30

Tweede kol.

a Ese 12:16

b Eks 34:6
 Ese 36:9, 10

c Ps 102:13
 Ro 9:15

d Ps 99:4
 Jer 10:24

e Jer 17:7

f Ne 11:1
 Jes 44:28
 Jes 62:1
 Jer 31:6
 Sag 1:17

g Ne 12:27
 Jes 61:3

h Jer 29:11, 12

i Le 26:26
 Ps 80:5

j Job 36:22
 Ps 32:8
 Ps 71:17
 Ps 119:102

k Ps 25:8, 9

l De 5:32
 Jos 1:7, 8
 Spr 4:27

m Eks 32:4
 De 7:5, 25
 Rig 17:3, 4

n Ho 14:8
 Sag 13:2

o Ps 65:9
 Sag 10:1

p Ho 2:21, 22

q Jes 65:10

en soos ’n banier* op ’n heuwel is.^a

- 18** Maar Jehovah wag geduldig* om goedheid aan julle te betoon,^b
 en hy sal opstaan om genaende aan julle te betoon.^c
 Want Jehovah is ’n God van geregtigheid.^d
 Gelukkig is almal wat gretig op hom bly wag.^e

19 Wanneer die volk in Sion, in Jerusalem,^f woon, sal jy beslis nie huil nie.^g Hy sal vir seker goedheid aan jou betoon wanneer jy om hulp roep. Hy sal jou antwoord sodra hy jou hoor.^h **20** Hoewel Jehovah vir julle rampspoed as voedsel en onderdrukking as water sal gee,ⁱ sal jou Groot Onderrigter hom nie langer verberg nie, en jy sal jou Groot Onderrigter^j met jou eie oë sien. **21** En jou ore sal ’n woord agter jou hoor wat sê: “Dit is die weg.^k Volg dit,” ingeval jy regs sou gaan of ingeval jy links sou gaan.^l

22 En julle sal die silwerlaag op julle beelde en die goue laag op julle metaalbeelde onrein maak.^m Julle sal hulle weggooi soos die doek van ’n menstrerende vrou en sê: “Weg is julle!”ⁿ **23** En hy sal die reën gee vir die saad wat jy in die grond saai,^o en die grond sal baie kos oplewer en dit sal voedsaam wees.^p In daardie dag sal jou vee in uitgestrekte weivelde wei.^q **24** En die beeste en die donkies wat die grond bewerk, sal voer eet waaruit die kaf verwyder is en waarby surring gevoeg is. **25** En op elke hoë berg en op elke hoë heuwel sal daar strome en water-

30:17 *Of “seinpaal”. **30:18** *Of “sien vol verwagting daarna uit”. **30:22** *Of moontlik “en hulle vullis noem”.

30:14 *Of moontlik “’n reënput”.

vore wees^a op die dag van die groot slagting wanneer die toerings val. **26** En die lig van die volmaan sal soos die lig van die son word, en die lig van die son sal sewe keer sterker word,^b soos die lig van sewe dae, op die dag wanneer Jehovah die wond* van sy volk^c verbind en die ernstige besering genees wat veroorsaak is deur die hou wat hy hulle gegee het.^d

27 Kyk! Die naam van Jehovah kom van ver af, met sy brandende woede en met swaar wolke.

Veroordeling is op sy lippe, en sy tong is soos 'n verteerende vuur.^e

28 Sy gees* is soos 'n stroom vloedwaters wat skouerhoogte[#] bereik, om die nasies te skud in 'n sif van vernietiging. En die volke sal 'n toom tussen hulle kakebene hê^f wat hulle op 'n dwaalspoor bring.

29 Maar julle lied sal soos die lied wees wat in die nag gesing word wanneer julle vir 'n fees voorberei.^{*g} En julle sal vreugdevol wees soos iemand wat met 'n fluit loop[#] op pad na die berg van Jehovah, na die Rots van Israel.^h

30 Jehovah sal sorg dat sy indrukwekkende stemⁱ gehoor word en dat sy arm^j gesien word terwyl dit in groot woede neerkom,^k

30:26 *Of "breuk". **30:28** *Of "asem". [#]Of "die nek". **30:29** *Of "julle julle vir 'n fees heilig". [#]Of "wat loop terwyl daar op die fluit gespeel word".

HFST. 30

a Jes 41:18
Jes 44:3

b Jes 60:20
Op 21:23
Op 22:5

c Klg 2:13

d Jer 33:6
Am 9:11

e Jes 10:17
Na 1:6
Sef 3:8

f 2Kn 19:28
Ps 32:9

g De 16:14
Ps 42:4
Jer 33:10, 11

h De 32:4
Jes 26:4

i Ps 29:3, 4

j Eks 15:16
Ps 98:1

k Na 1:2

Tweede kol.

a Ps 18:13

b Rig 5:4

c Jos 10:11

d Jes 37:36

e Jes 10:12

f Eks 15:20
Rig 11:34

g Jes 10:24, 26

h 2Kn 23:10
Jer 7:32

i Jes 37:37, 38
Ese 32:22

HFST. 31

j Jes 30:2

k De 17:15, 16

l Ese 29:6, 7

met die vlam van 'n verteerende vuur,^a 'n wolkbreuk,^b 'n donderstorm en haelstene.^c

31 Want weens die stem van Jehovah sal Assi'rië baie bang wees.^d

Hy sal dit met 'n stok slaan.^e

32 En elke keer dat Jehovah sy stok swaai om Assi'rië te straf, sal die geluid van tamboeryne en harpe gehoor word^f terwyl hy met sy magtige arm teen hulle veg.^g

33 Want sy Tofet*^h is reeds gereedgemaak, en dit is ook vir die koning voorberei.ⁱ

Hy het die houtstapel daarvan diep en breed gemaak, met baie hout en vuur.

Soos 'n stroom swael sal die asem van Jehovah dit aan die brand steek.

31 Dit sal sleg gaan met dié wat na Egipte gaan vir hulp,^j

dié wat op perde vertrou^k en wat hulle vertrou stel in baie strydwaens en in die krag van oorlogsperde.*

Hulle vertrou nie op die Heilige van Israel nie en hulle vra nie Jehovah se hulp nie.

2 Maar hy is wys en sal rampspoed laat kom, en hy sal nie sy woorde terugtrek nie.

Hy sal opstaan teen die huis van goddeloses en teen dié wat slegte mense help.^l

3 Die Egiptenare is nie God nie. Hulle is net mense.

30:33 *"Tofet" verwys hier na 'n fi-guurlike plek van verbranding en stel vernietiging voor. **31:1** *Of "perderuiters".

Hulle perde is vlees en nie gees nie.^a

Wanneer Jehovah sy hand uitsteek, sal almal wat hulp aanbied, struikel.

En almal wat gehelp word, sal val.

Hulle sal almal saam sterf.

4 Want dit is wat Jehovah vir my gesê het:

“'n Leeu, 'n sterk jong leeu,* grom oor sy prooi

wanneer 'n groot groep herders bymekaareroep word om hom weg te jaag.

Hy word nie bang wanneer hulle skree nie,

en hy word nie afgeskrik wanneer hulle geraas maak nie.

Net so sal Jehovah van die leërmagte neerdaal om oorlog te voer

vir die berg Sion en sy heuwel.

5 Soos 'n voël wat afduik, so sal Jehovah van die leërmagte Jerusalem verdedig.^b

Hy sal haar verdedig en bevry.

Hy sal haar spaar en red.”

6 “Keer terug na die Een teen wie julle openlik in opstand gekom het, o Israel.^c

7 Want in daardie dag sal elkeen sy waardelose gode van silwer en van goud verwerp, wat julle eie hande in sonde gemaak het.

8 En die Assiriër sal deur die swaard val, maar nie deur die swaard van 'n man nie.

Hy sal vernietig word deur 'n swaard, maar nie dié van 'n mens nie.^d

Hy sal vir die swaard vlug, en sy jong manne sal slawe word.

31:4 *Of “'n jong maanhaarleeu”.

HFST. 31

a Ps 33:17
Spr 21:31

b De 32:11, 12
Ps 91:4

c Jes 55:7
Jl 2:12

d 2Kn 19:35
2Kr 32:21
Jes 37:36

Tweede kol.

HFST. 32

a Ge 49:10
Ps 2:6
Lu 1:32, 33
Joh 1:49

b Ps 45:6
Ps 72:1
Jes 9:7
Jes 11:4, 5
Jer 23:5
Sag 9:9
Heb 1:9
Op 19:11

c Jes 35:6

d Jes 35:6

e Mi 2:1

9 Sy sterk rots sal van pure skrik verdwyn, en sy leiers sal doodbang wees weens die banier,*^a sê Jehovah, wie se lig[#] in Sion is en wie se vuurood in Jerusalem is.

32 Kyk! 'n Koning^a sal in regverdigheid regeer,^b en prinse* sal in geregtigheid heers.

2 En elkeen sal soos 'n skuilplek teen die wind en 'n skuiling teen die reënstorm wees, soos waterstrome in 'n waterlose land,^c soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n dorre land.

3 Dan sal die oë van dié wat sien, nie meer toe wees nie, en die ore van dié wat hoor, sal aandag skenk.

4 Impulsiewe mense sal nadenk oor die kennis wat hulle verkry, en dié wat hikkel, sal vlot en duidelik praat.^d

5 Die verstandelose sal nie meer vrygewig genoem word nie, en die beginsellose man sal nie gerespekteer word nie,

6 want die verstandelose sal onsin praat, en sy hart sal skadelike planne beraam,^e om afvalligheid te bevorder* en om leuens oor Jehovah te vertel, om die een wat honger is, honger te laat ly en om die een wat dors is, dors te laat ly.

31:9 *Of “seinpaal”. [#]Of “vuur”.
32:1 *Of “vorste”. **32:6** *Of “om on-eerbiedig op te tree”.

- 7** Die weë van die beginsellose man is sleg.^a
Hy bevorder skandelige gedrag om die hulpelose met leuens te vernietig,^b selfs wanneer die arme reg is.
- 8** Maar die vrygewige persoon het goeie bedoelings, en hy hou aan om vrygewig te wees.*
- 9** "Staan op en luister na my stem, oorgeruste vroue! Skenk aandag aan wat ek sê, sorgelose dogters!^c
- 10** Oor bietjie meer as 'n jaar sal julle wat sorgeloos is, paniekbevange wees, want aan die einde van die druiwe-oes sal daar geen vrugte ingesamel wees nie.^d
- 11** Bewe, julle oorgeruste vroue!
Bewe van vrees, julle wat sorgeloos is!
Trek julle klere uit en sit saklinne om julle heupe.^e
- 12** Slaan op julle bors van hartseer oor die pragtige landerye en die vrugbare wingerde.
- 13** Want die grond van my volk sal vol dorings en dissels wees.
Dit sal al die huise toegroei wat voorheen vol vrolikheid was, ja, die hele vreugdevolle stad.^f
- 14** Want die versterkte toring is verlate.
Die lawaaierige stad is leeg.^g
Ofel^h en die wagtoring het 'n permanente wildernis geword,

32:8 *Of "en hy bly hom inspan om goeie dinge te doen".

HFST. 32

- a Jer 5:26
Mi 7:3
- b 1Kn 21:9, 10
- c Jes 3:16
- d Klg 2:12
Sef 1:13
- e Jes 3:24
- f Jes 22:2
Klg 2:15
- g 2Kn 25:9, 10
- h 2Kr 27:1, 3
Ne 3:26

Tweede kol.

- a Jes 27:10
- b Jes 44:3
- c Jes 29:17
Jes 35:1, 2
- d Jes 42:1, 4
Jes 60:21
- e Ps 119:165
Jes 55:12
- f Ese 37:26
Mi 4:3, 4
- g Jes 60:18
Jes 65:22
Jer 23:6
Ese 34:25
Ho 2:18
- h Jes 30:23, 24

HFST. 33

- i 2Kn 18:13
Jes 10:5
- j Jes 10:12
Na 3:7
- k Ps 123:2
- l Ps 44:3
Jes 52:10
- m Ps 46:1
Na 1:7

'n paradys vir die wilde-donkies,
'n weiveld vir die kuddes.^a

- 15** Dit sal so wees totdat die gees van bo af oor ons uitgestort word^b en die wildernis 'n vrugteboord word en die vrugteboord as 'n woud beskou word.^c
- 16** Dan sal daar geregtigheid in die wildernis wees, en regverdigheid in die vrugteboord.^d
- 17** Die resultaat van ware regverdigheid sal vrede wees,^e en die gevolg van ware regverdigheid sal blywende kalmte en veiligheid wees.^f
- 18** My volk sal in 'n vreedsame plek woon, in veilige plekke waar daar kalmte en rus is.^g
- 19** Maar die hael sal die woud platslaan, en die stad sal met die grond gelykgemaak word.
- 20** Gelukkig is julle wat saad saai waar daar ook al water is, wat die bul en die donkie vry laat loop.^h
- 33** Dit sal sleg gaan met die vernietiger wat nie vernietig is nie,ⁱ met die verraaiër wat nie verraai is nie!
Wanneer jy klaar vernietig het, sal jy vernietig word.^j
Nadat jy verraai het, sal jy verraai word.
- 2** O Jehovah, betoon goedheid aan ons.^k
Ons hoop op u.
Ondersteun ons elke oggend met u krag.^{*l}
Wees ons redding in moeilike tye.^m

33:2 *Lett. "arm".

- 3** Wanneer die volke u stem hoor, vlug hulle.
Wanneer u opstaan, spat nasies uitmekaar.^a
- 4** Die buit wat julle bymekaar-gemaak het, sal gestroop word asof sprinkane daarop toegesak het.
Mense sal soos swerms sprinkane daarop afstorm.
- 5** Jehovah sal verheerlik word,
want hy woon in die hoogtes daar bo.
Hy sal Sion met geregtigheid en regverdigheid vul.
- 6** Hy gee julle stabiliteit, 'n oorvloed van redding,^b wysheid, kennis en vrees vir Jehovah^c
– dit is sy skat.
- 7** Kyk! Hulle helde roep uit in die straat.
Die boodskappers van vrede huil bitterlik.
- 8** Die grootpaaië is verlate. Niemand reis op die paaie nie.
Hy* het die verbond verbreek.
Hy het die stede verwerp.
Hy het geen respek vir enigiemand nie.^d
- 9** Die land treur* en verdroog. Die Li'banon kry skaam.^e Dit het agteruitgegaan.
Saron het soos die woestyn geword,
en Basan en Karmel skud hulle blare af.^f
- 10** "Nou sal ek opstaan," sê Jehovah,
"nou sal ek my verheerlik,^g nou sal ek wys hoe groot ek is.
- 11** Julle planne is soos droë gras en die dade wat dit voortbring, is soos stoppels.

33:8 *Verwys na die vyand. **33:9** *Of moontlik "verdroog".

HFST. 33

a Ps 46:6
Ps 68:1
Jes 17:13

b Ps 27:1

c Spr 19:23

d 2Kn 18:19, 20

e Jes 37:24

f Na 1:4

g Ps 46:10

Tweede kol.

a Jes 5:24

b Jes 9:18

c De 28:66, 67

d De 32:22
Na 1:6
Heb 12:29

e Ese 18:17

f 1Kr 29:17

g Eks 23:8
De 16:19

h 1Kn 19:5, 6
Ps 34:9, 10
Jes 65:13

- Julle eie gees sal julle soos 'n vuur verteer.^a
- 12** En volke sal soos gebrande kalk word.
Hulle sal soos afgekapte doringbosse met vuur verbrand word.^b
- 13** Julle wat ver weg is, hoor wat ek gaan doen!
En julle wat naby is, erken my mag!
- 14** Die sondaars in Sion is doodbang.^c
Die afvalliges bewe van vrees:
"Wie van ons kan by 'n verterende vuur lewe?"^d
Wie van ons kan lewe by vlamme wat nie geblus kan word nie?"
- 15** Net die een wat altyd die weg van regverdigheid volg,^e
wat die waarheid praat,^f
wat nie deur oneerlikheid of bedrog geld maak nie,
wat weier om 'n omkoopgeskenk te aanvaar,^g
wat nie luister na gesprekke oor moord nie
en wat weier om te kyk na wat sleg is.
- 16** So iemand sal in die hoogtes woon.
Rotsagtige vestings sal sy veilige skuilplek* wees.
Hy sal van kos voorsien word,
en hy sal altyd genoeg water hê."^h
- 17** Met jou eie oë sal jy 'n koning in sy heerlikheid sien.
Jy sal 'n land sien wat ver weg is.
- 18** Jy sal terugdink aan die vrees wat jy ondervind het, en sê:
"Waar is die sekretaris?"

33:16 *Of "veilige hoogte".

- Waar is die een wat die skatting* afgeweg het?^a
 Waar is die een wat die torings getel het?^b
- 19** Jy sal daardie hoogmoedige volk nie meer sien nie, 'n volk met 'n onverstaanbare taal, wie se gehakkel jy nie kan verstaan nie.^b
- 20** Kyk na Sion, die stad van ons feeste!^c
 Jou oë sal Jerusalem sien as 'n rustige woonplek, 'n tent wat nie verskuif sal word nie.^d
 Sy tentpenne sal nooit uitgetrek word nie, en nie een van sy toue sal gebreek word nie.
- 21** Maar daar sal die glorieryke God, Jehovah, vir ons 'n plek van riviere en breë kanale wees. Geen vloot skepe* sal daarop vaar nie, en geen groot skepe sal daar verbygaan nie.
- 22** Want Jehovah is ons Regter,^e
 Jehovah is ons Wetgewer,^f
 Jehovah is ons Koning.^g
 Hy is die Een wat ons sal red.^h
- 23** Jou toue sal slap hang. Hulle sal nie die mas regop kan hou of die seil kan span nie.
 In daardie tyd sal baie buit verdeel word, en selfs die kreupeles sal baie daarvan vat.ⁱ
- 24** En geen inwoner sal sê: "Ek is siek" nie.^j
 Die volk wat in die land woon, sal vergifnis van hulle sonde ontvang.^k

33:18 *Sien Woordelys. 33:21 *Of "galeie".

HFST. 33

- a 2Kn 15:19
 b De 28:49, 50
 Jes 28:11
 Jer 5:15
 c De 12:5, 6
 d Ps 125:1
 e Ge 18:25
 Ps 50:6
 Ps 98:9
 f Le 26:3
 Jak 4:12
 g Ps 44:4
 Ps 97:1
 Op 11:15, 17
 h Jes 12:2
 Sef 3:17
 i Jes 33:4
 j De 7:15
 Op 21:4
 Op 22:1, 2
 k Jer 50:20
 Mi 7:18, 19

Tweede kol.

HFST. 34

- a Jer 25:15
 Jl 3:12
 Sef 3:8
 Sag 14:3
 b Jes 30:27
 Na 1:2
 c Op 19:11, 15
 d Jer 25:33
 e Ese 39:4
 f De 32:41
 g Ps 137:7
 Jer 49:7, 22
 h Le 3:16
 i Jes 63:1-3
 Ob 8, 9

- 34** Kom nader om te hoor, o nasies, en skenk aandag, o volke. Laat die aarde en alles daarop luister, die land en sy hele opbrengs.
- 2** Want Jehovah is woedend vir al die nasies.^a
 Hy is baie kwaad vir al hulle leërmagte.^b
 Hy het besluit om hulle te vernietig.
 Hy sal hulle uitroei.^c
- 3** Dié wat doodgemaak is, sal net so bly lê, en die stank van hulle lyke sal die lug vul.^d
 Die berge sal deurdrenk wees van* hulle bloed.^e
- 4** Die hele leërmag van die hemel sal verrot, en die hemel sal opgerol word soos 'n boekrol. Hulle hele leërmag sal verdor, soos 'n verdorde blaar wat van die wingerdstok afval en soos 'n verdroogde vy wat van die vyeboom afval.
- 5** "Want in die hemel sal my swaard drup.^f
 Dit sal met oordeel op Edom afkom,^g
 op die volk wat ek besluit het om te vernietig.
- 6** Jehovah het 'n swaard. Dit sal vol bloed wees.
 Dit sal vol vet wees,^h
 vol van die bloed van jong ramme en bokke en die niervet van ramme. Want Jehovah het 'n offerfees in Bosra,
 'n groot slagting in die land Edom.ⁱ
- 7** Die wilde bulle sal saam met hulle val,

34:3 *Lett. "sal smelt weens".

die jong bulle saam met die sterkes.

Hulle land sal deurdrenk wees van bloed, en hulle grond sal vol vet wees.”

- 8** Want Jehovah het 'n dag van wraak,^a 'n jaar van straf vir alles wat aan Sion gedoen is.^b
- 9** Haar* strome sal in teer verander word, en haar stof in swael. En haar land sal soos brandende teer word.
- 10** Dit sal dag en nag bly brand. Die rook sal vir ewig opstyg. Van geslag tot geslag sal sy verwoes bly. Niemand sal tot in alle ewigheid daardeur trek nie.^c
- 11** Die pelikaan en die yster-vark sal haar in besit neem, en langooruile en kraaie sal in haar woon. Hy sal haar meet met die maatlyn van leegheid en met die skietlood van verlatenheid.
- 12** Nie een van haar belangrike mense sal koning word nie, en al haar leiers sal verdwyn.
- 13** Doringbosse sal in haar versterkte torings groei, en brandnetels en doringrige onkruid in haar vestings. Sy sal 'n lêplek van jakkalse word,^d en 'n woonplek van volstruise.
- 14** Woestyndiere en huilende diere sal daar bymekaarkom,

34:9 *Verwys blykbaar na Bosra, die hoofstad van Edom.

HFST. 34

a De 32:41
Ps 94:1

b Jes 35:4

c Mal 1:4

d Mal 1:3

Tweede kol.

HFST. 35

a Jes 29:17
Jes 32:14, 15

b Jes 4:2
Jes 27:6
Jes 35:6
Jes 51:3
Ese 36:35

c Ho 14:5, 6

d Jes 60:13

e Jer 50:19

f Jes 65:10

g Heb 12:12

en wilde bokke* sal na mekaar roep.

Die naguil sal daar bly en 'n rusplek vind.

- 15** Die slang sal daar nesmaak en eiers lê, en sy sal hulle uitbroei en beskerm. Die valke sal daar bymekaarkom, elkeen met sy maat.
- 16** Gaan kyk in die boek van Jehovah en lees dit hardop: Hulle almal sal daar wees, en hulle almal sal 'n maat hê, want Jehovah het die bevel gegee, en sy gees het hulle bymekaarbring.
- 17** Hy is die Een wat die lot vir hulle gewerp het, en sy eie hand het hulle plek vir hulle uitgemeet. Hulle sal dit vir altyd besit. Hulle sal tot in alle geslagte daarin woon.
- 35** Die wildernis en die dorre land sal juig,^a en die woestyn sal vreugdevol en vol blomme wees.^{*b}
- 2** Dit sal vir seker vol bloeiers wees.^c Dit sal bly wees en uitroep van vreugde. Die heerlikheid van die Li'banon sal daaraan gegee word,^d die prag van Karmel^e en van Saron.^f Hulle sal die heerlikheid van Jehovah sien, die prag van ons God.
- 3** Versterk dié wie se hande slap hang, en maak die knieë wat bewe, sterk.^g

34:14 *Of moontlik "en bokagtige demone". **35:1** *Of "vreugdevol wees en blom soos die saffraan".

- 4 Sê vir dié wat in hulle hart angstig is:
 “Wees sterk. Moenie bang wees nie.
 Kyk! Julle God sal kom om wraak te neem.
 God sal kom om te straf.^a
 Hy sal julle kom red.”^b
- 5 Dan sal die oë van die blindes kan sien,^c
 en die ore van die dowes sal kan hoor.^d
- 6 Dan sal die kreupele soos 'n takbok spring,^e
 en die tong van die stomme sal van vreugde uitroep.^f
 Want waters sal in die wildernis vloei,
 en strome in die woestyn.
- 7 Die kurkdroë grond sal verander in 'n poel vol riete,
 en die dorre land in waterfonteine.^g
 In die plek waar jakkalse gelê het,^h
 sal daar groen gras, riete en papyrusplante wees.
- 8 En daar sal 'n grootpad wees,ⁱ
 ja, 'n weg wat die Weg van Heiligheid genoem word.
 Die onreine sal nie daarop reis nie.^j
 Dit is net vir die een wat die weg volg.
 Geen dwaas sal daarop beland nie.
- 9 Daar sal geen leeu en geen gevaarlike wilde diere daarop wees nie.
 Hulle sal nie daar gevind word nie.^k
 Net dié wat teruggekoop is, sal daarop loop.^l
- 10 Dié wat deur Jehovah losgekoop is, sal terugkeer^m en met gejuig na Sion kom.ⁿ
 Hulle sal eindelose vreugde geniet.^o

35:10 *Of “Eindelose vreugde sal hulle kroon wees”.

HFST. 35

- a Jer 51:56
 b Jes 25:9
 c Sef 3:16, 17
 d Ps 146:8
 e Jer 42:16
 f Mt 9:28-30
 g Jer 29:18
 h Jer 6:10
 i Mr 7:32-35
 j Lu 7:22
 k Mt 11:5
 l Han 8:7
 m Han 14:8-10
 n Mt 15:30
 o Jes 44:3
 p Jer 9:11
 q Esr 1:3
 r Jes 11:16
 s Jer 49:11
 t Jes 62:10
 u Jer 31:21
 v j Jes 52:1
 w k Jes 11:6, 7
 x Jes 65:25
 y Ese 34:25
 z Ho 2:18
 aa l Ps 107:2, 3
 ab Jes 62:12
 ac m De 30:4
 ad n Jes 51:11
 ae Jer 31:11, 12
 af o Jer 33:10, 11

Tweede kol.

- a Jes 30:19
 b Jes 65:19

HFST. 36

- b Jes 10:5
 c 2Kn 18:13
 d 2Kr 32:1
 e Jes 8:7, 8
 f Jes 10:28-32
 g Jes 33:8
 h 2Kr 32:9
 i 2Kn 19:8
 j Jes 7:3
 k 2Kn 18:17, 18
 l Jes 22:20, 21
 m 2Kn 19:2
 n j 2Kn 18:19-25
 o 2Kn 19:10
 p k 2Kn 18:1, 7
 q l 2Kn 17:4
 r Jes 30:2, 7
 s Jer 37:7
 t m 2Kn 18:1, 4
 u 2Kr 31:1
 v n De 12:11
 w 2Kr 7:12
 x 2Kr 32:12
 y o 2Kn 18:13

Hulle sal vol blydschap en vreugde wees,
 en hartseer en swaarkry sal verdwyn.^a

36 In die 14de jaar van koning Hiski'a het San'herib, die koning van Assi'rië,^b teen al die versterkte stede van Juda opgetrek en hulle ingeneem.^c **2** Die koning van Assi'rië het die Rab'sake^d toe met 'n groot leër mag van Lagis^e af na koning Hiski'a in Jerusalem gestuur. Hulle het gaan staan by die kanaal van die boonste dam,^f wat langs die grootpad van die wassersveld is.^g **3** Toe het El-ja'kim,^h die seun van Hilk'i'a, wat oor die huishouding* was, Sebna,ⁱ die sekretaris, en Joag, die seun van Asaf, die geskiedskrywer, na hom toe uitgekom.

4 Toe het die Rab'sake vir hulle gesê: “Sê asseblief vir Hiski'a: ‘Dit is wat die groot koning, die koning van Assi'rië, sê: “Hoekom is jy so vol vertroue?’ **5** Jy sê: ‘Ek het 'n strategie en die mag om oorlog te voer,’ maar dit is leë woorde. Op wie vertrou jy dat jy dit waag om teen my in opstand te kom?’ **6** Jy vertrou op Egipte, daardie geknakte riet, wat 'n gat dwarsdeur 'n mens se hand sal steek as jy daarop leun. Dit is hoe Faraó, die koning van Egipte, is vir almal wat op hom vertrou.^l **7** Maar dalk sal julle vir my sê: ‘Ons vertrou op Jehovah ons God.’ Is dit dan nie sy offerhoogtes en altare wat Hiski'a verwyder het nie,^m terwyl hy vir Juda en Jerusalem sê: ‘Julle moet vir hierdie altaar neerbuig?’ⁿ **8** Aanvaar dan nou asseblief hierdie uitdaging van my heer, die koning van Assi'rië.^o Ek sal vir jou

36:2 *Of “die hoofskinker”. 36:3 *Of “paleis”.

2 000 perde gee as jy genoeg ruiters vir hulle kan vind. **9** Hoe sou jy dan selfs een van my heer se onbelangrikste goewerneys kan terugdryf as jy op Egipte moet vertrou vir strydwaens en vir ruiters? **10** En dink jy dat ek sonder Jehovah se toestemming teen hierdie land opgetrek het om dit te verwoes? Dit was Jehovah wat vir my gesê het: "Trek op teen hierdie land en verwoes dit."

11 Toe het Elja'kim, Sebna^a en Joag vir die Rab'sake^b gesê: "Praat asseblief met u knegte in die Aramese* taal,^c want ons verstaan dit. Moenie in die taal van die Jode met ons praat nie, want die mense op die muur kan hoor wat ons sê."^d **12** Maar die Rab'sake het gesê: "Dink julle dat my heer my net na julle heer en na julle toe gestuur het om hierdie dinge te sê? Hierdie boodskap is ook bedoel vir die manne wat op die muur sit, wat hulle eie ontlasting sal eet en hulle eie urine sal drink, net soos julle."

13 Daarna het die Rab'sake met 'n harde stem in die taal van die Jode^e uitgeroep: "Hoor wat die groot koning, die koning van Assi'rië, sê.^f **14** Dít is wat die koning sê: 'Moenie dat Hiski'a julle bedrieg nie, want hy kan julle nie red nie.^g **15** En moenie dat Hiski'a julle op Jehovah laat vertrou nie^h deur te sê: "Jehovah sal ons vir seker red. Hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Assi'rië gegee word nie." **16** Moenie na Hiski'a luister nie, want dít is wat die koning van Assi'rië sê: "Maak vrede met my en gee julle aan my oor. Dan sal elkeen van julle van sy eie wingerdstok en van sy eie vyeboom eet en die water van sy eie reën-

HFST. 36

a Jes 22:15

b 2Kn 18:17

c Esr 4:7
Da 2:4

d 2Kn 18:26, 27

e 2Kr 32:18

f 2Kn 18:28-35

g 2Kr 32:11, 15
Da 3:15

h 2Kn 19:22

Tweede kol.

a 2Kn 17:6
2Kn 17:22, 23b 2Kn 19:11, 12
2Kr 32:14
Jes 37:11, 12

c Jer 49:23

d 2Kn 17:24

e 2Kn 17:6
2Kn 17:22, 23
Jes 10:11f 2Kn 19:17, 18
2Kr 32:15
Jes 37:23g 2Kn 18:36, 37
Spr 9:7

h Jes 22:15

HFST. 37

i 2Kn 19:1-4

j 2Kr 26:22
Jes 1:1

k Jes 26:17, 18

put drink, **17** totdat ek kom en julle na 'n land neem soos julle land,^a 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde. **18** Moenie deur Hiski'a mislei word nie, want hy sê: 'Jehovah sal ons red.' Het enige van die gode van die nasies sy land uit die hand van die koning van Assi'rië gered?^b **19** Waar is die gode van Hamat en Arpad?^c Waar is die gode van Sefarwa'im?^d En het hulle Samari'a uit my hand gered?^e **20** Kon enigeen van die gode van daardie lande hulle land uit my hand red? Sal Jehovah Jerusalem dan uit my hand kan red?"^f

21 Maar hulle het stilgebly en hom nie geantwoord nie, want die koning het hulle beveel om hom nie te antwoord nie.^g **22** Elja'kim, die seun van Hiski'a, wat oor die huishouding* was, Sebna,^h die sekretaris, en Joag, die seun van Asaf, die geskiedskrywer, het met geskeurde klere na Hiski'a toe gegaan en hom vertel wat die Rab'sake gesê het.

37 Toe koning Hiski'a dit hoor, het hy sy klere geskeur en saklinne aangetrek en in die huis van Jehovah ingegaan.ⁱ **2** Toe het hy Elja'kim, wat oor die huishouding* was, Sebna, die sekretaris, en die hoofde van die priesters saklinne laat aantrek en hulle na die profeet Jesaja,^j die seun van Amos, gestuur. **3** Hulle het vir hom gesê: "Dít is wat Hiski'a sê: 'Vandag is 'n dag van rampspoed, van belediging* en van skande. Dit is soos wanneer 'n kind gered is om gebore te word, maar daar geen krag is om geboorte te gee nie.'^k **4** Mis-

36:22; 37:2 *Of "paleis". 37:3 *Of "veroordeling".

kien sal Jehovah u God die woorde hoor van die Rab'sake, wat deur sy heer, die koning van Assi'rië, gestuur is om die lewende God uit te tart,^a en hom bring vir die woorde wat Jehovah u God gehoor het. Bid^b dus vir die oorblyfsel wat nog lewe."^c

5 Die knegte van koning Hiski'a het by Jesaja aangekom,^d **6** en Jesaja het vir hulle gesê: "Gaan sê vir julle heer: 'Dit is wat Jehovah sê: "Moenie bang wees" weens die woorde wat jy gehoor het nie, die woorde waarmee die dienaars van die koning van Assi'rië^f my belaster het nie. **7** Ek gaan 'n gedagte by hom laat opkom, en hy sal 'n berig hoor en na sy eie land terugkeer.^g En ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val."^h

8 Nadat die Rab'sake gehoor het dat die koning van Assi'rië van Lagis af weggetrek het, het hy teruggekeer na die koning, wat besig was om teen Libna te veg.ⁱ **9** Die koning het gehoor dat koning Tirha'ka van Etiopië op pad was om teen hom te veg. Daarom het hy weer boodskappers na Hiski'a toe gestuur/ en gesê: **10** "Dit is wat julle vir koning Hiski'a van Juda moet sê: 'Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou bedrieg deur te sê: "Jerusalem sal nie in die hand van die koning van Assi'rië gegee word nie."^k **11** Jy het gehoor wat die konings van Assi'rië met al die lande gedoen het. Hulle het dit vernietig.^l Sal jy die enigste een wees wat gered word? **12** Is die nasies wat deur my voorvaders vernietig is, deur hulle gode gered?^m Waar is Gosan, Haran,ⁿ Resef en die mense van Eden wat in Tel-Asar was? **13** Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad, die koning van die stad Se-

HFST. 37

- a 1Sa 17:45
2Kn 18:28, 35
b 2Kr 32:20
Ps 50:15
Jl 2:17
c 2Kn 17:18
d 2Kn 19:5-7
e De 20:1
f 2Kn 18:17
g Spr 21:1
h 2Kr 32:21
Jes 37:37, 38
i Jos 10:29, 30
2Kn 8:22
2Kn 19:8-13
j 2Kn 18:17
k 2Kr 32:15
l 2Kn 17:5, 6
2Kr 32:13
Jes 10:11
m Jes 36:19
n Ge 11:31

Tweede kol.

- a 2Kn 17:24
Jes 36:19
b 2Kn 19:14-19
c 1Kr 8:30
2Kr 6:20
2Kr 20:9
Da 9:3
d Ps 46:7
Jes 8:13
e 2Kr 6:40
Ps 65:2
f 2Kr 16:9
1Pe 3:12
g Jes 37:4
h 2Kn 15:29
2Kn 16:8, 9
1Kr 5:26
i Jes 10:11
j Jes 40:19
Jes 41:7
Jer 10:3
Ho 8:6
Han 17:29
k De 32:31, 39
Ps 83:18
Ps 96:5
l 2Kn 19:20, 21
m 2Kn 19:4, 16
n 2Kn 18:30, 35
Jes 10:12, 13

farwa'im,^a die koning van Hena en die koning van Iwwa?"

14 Hiski'a het die briewe by die boodskappers geneem en dit gelees. Hiski'a het toe na die huis van Jehovah gegaan en dit voor Jehovah uitgesprei.^b

15 En Hiski'a het tot Jehovah begin bid^c en gesê: **16** "O Jehovah van die leëmagte,^d die God van Israel, wat op die troon bo* die gerubs sit, u alleen is die ware God van al die koninkryke van die aarde. U het die hemel en die aarde gemaak. **17** Skenk aandag, o Jehovah, en luister!^e Maak u oë oop, o Jehovah, en sien!^f Luister na al die woorde waarmee San'herib die lewende God uittart.^g

18 O Jehovah, die konings van Assi'rië het wel al die lande verwoes,^h sowel as hulle eie land. **19** En hulle het hulle gode in die vuur gegooi,ⁱ want hulle was nie gode nie. Hulle was die werk van mensehande/^j - hout en klip. Dit is waarom hulle hulle kon vernietig. **20** Maar red ons nou uit sy hand, o Jehovah ons God, sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat u alleen God is, o Jehovah."^k

21 Jesaja, die seun van Amos, het toe hierdie boodskap aan Hiski'a gestuur: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Omdat jy tot my gebid het in verband met koning San'herib van Assi'rië,^l **22** is dit wat Jehovah oor hom sê:

"Die maagdelike dogter van Sion verag jou, sy lag jou uit.

Die dogter van Jerusalem skud haar kop vir jou.

23 Wie het jy uitgetart^m en belaster?

Teen wie het jy jou stem verhefⁿ

37:16 * Of moontlik "tussen".

en jou trotse oë opgeslaan?
Dit is teen die Heilige van
Israel!^a

- 24** Deur middel van jou knegte
het jy Jehovah uitgetart^b
en gesê:

'Met my baie strydwaens
sal ek teen hoë berge opry,^c
teen die mees afgeleë dele
van die Li'banon-berge.
Ek sal sy hoë sederbome
afkap, sy beste jenerwer-
bome.

Ek sal sy hoogste skuil-
plekke, sy digste woude,
binnedring.

- 25** Ek sal putte grawe en
water drink.

Ek sal die strome* van
Egipte met my voetsole
opdroog.^d

- 26** Het jy nie gehoor nie?
Dit is lank gelede besluit.*

Ek het dit in die verre
verlede voorberei.^d

Nou sal ek dit laat plaas-
vind.^e

Jy sal versterkte stede
vernietig. Daar sal net
ruïnes oorbly.^f

- 27** Hulle inwoners sal hulpe-
loos wees.

Hulle sal baie bang wees en
verneder word.

Hulle sal soos plante van
die veld en groen gras
word,

soos gras op die dakke wat
deur die oostewind ver-
skroei word.

- 28** Maar ek weet wanneer jy sit,
wanneer jy uitgaan, wan-
neer jy inkom^g

en wanneer jy woedend is
vir my,^h

- 29** want jou woede teen myⁱ
en jou gebrul het my ore
bereik.^j

37:25 *Of "die kanale van die Nyl-
rivier". **37:26** *Lett. "gedoen".

HFST. 37

a Eks 15:11
2Kn 19:22-24
Jes 10:20
Ese 39:7

b 2Kr 32:17

c Jes 10:10, 11

d Ps 33:11
Jes 46:10

e Jes 55:10, 11

f 2Kn 19:25, 26

g Spr 5:21
Spr 15:3
Heb 4:13

h 2Kn 19:27, 28

i Ps 46:6
Jes 10:15
Jes 37:23

j Jes 36:4, 20

Tweede kol.

a Ps 32:9

b 2Kn 19:29-31

c Jes 1:9
Jes 10:20, 21

d 2Kn 19:4

e Jes 59:17
Jl 2:18
Sag 1:14, 15

f Jes 10:24

g 2Kr 32:22
Jes 10:32

h 2Kn 19:32-34

i Jes 31:5

j De 32:27
1Sa 12:22
2Kn 20:6
Ese 36:22

k 1Kn 15:4

l 2Kn 19:35-37
2Kr 32:21

Daarom sal ek my haak in
jou neus sit en my toom^a
tussen jou lippe,
en ek sal jou teruglei op die
pad waarmee jy gekom
het.^b

30 "En dit sal vir jou* die te-
ken wees: Hierdie jaar sal jul-
le eet wat vanself groei,^c en in
die tweede jaar sal julle graan
eet wat dan opkom, maar in
die derde jaar sal julle saad
saai en oes, en julle sal win-
gerde plant en die vrugte daar-
van eet.^b **31** Dié van die huis
van Juda wat wegkom, dié wat
oorbly,^c sal wortelskiet onder-
toe en vrugte voortbring boon-
toe. **32** Want 'n oorblifsel sal
uit Jerusalem uitgaan, en oor-
lewendes van die berg Sion af.^d
Die ywer van Jehovah van die
leërmagte sal dit doen.^e

33 "Daarom sê Jehovah die
volgende oor die koning van As-
sirië:^f

"Hy sal nie in hierdie stad
inkom^g

of 'n pyl daarnatoe skiet
of met 'n skild daarteen kom
of 'n beleëringswal daar-
teen oprig nie."^h

- 34** 'Met die pad waarmee hy ge-
kom het, sal hy terugkeer.
Hy sal nie in hierdie stad
inkom nie,' sê Jehovah.

- 35** 'Ek sal hierdie stad
verdedigⁱ en red om
my eie onthalwe^j
en ter wille van my kneg
Dawid."^k

36 En die engel van Jehovah
het uitgegaan en 185 000 man-
ne in die kamp van die As-
siriërs doodgemaak. Toe mense
die volgende oggend vroeg op-
staan, het hulle al die lyke
gesien.^l **37** Daarom het koning
San'herib van Assirië na Ni'ne-

37:30 *D.w.s. Hiskia. [#]Of "wat ge-
groeï het van korrels wat geval het".

ve^a teruggekeer en daar gebly.^b
38 En terwyl hy in die tempel van sy god Nisrog neergebuig het, het sy eie seuns Adram-me'leg en Sare'ser hom met die swaard doodgemaak^c en toe na die land Ararat^d gevlug. En sy seun Esar-Haddon^e het in sy plek koning geword.

38 In daardie dae het Hiski'a dodelik siek geword.^f Die profeet Jesaja,^g die seun van Amos, het vir hom gaan sê: "Dit is wat Jehovah sê: "Gee instruksies aan jou huisgesin, want jy gaan sterf. Jy sal nie gesond word nie."^h **2** Toe het Hiski'a sy gesig na die muur gedraai en tot Jehovah begin bid en gesê: **3** "Ek smeeek u, o Jehovah, onthouⁱ asseblief hoe ek u getrou en met my hele hart gedien het,^j en ek het gedoen wat goed is in u oë." En Hiski'a het bitterlik begin huil.

4 Toe het Jehovah vir Jesaja gesê: **5** "Gaan terug en sê vir Hiski'a:^k "Dit is wat Jehovah, die God van jou voorvader Dawid, sê: "Ek het jou gebed gehoor.^l Ek het jou trane gesien.^m Ek sal 15 jaar by jou lewe voeg,ⁿ **6** en ek sal jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Assirië red, en ek sal hierdie stad verdedig.^o **7** Dit is die teken van Jehovah om te bewys dat Jehovah sal vervul wat hy gesê het:^p **8** Ek sal die skaduwee wat reeds op die trap* van Agas afbeweeg het, tien trappies laat teruggaan."^q En die skaduwee het tien trappies teruggegaan op die trap nadat dit reeds vorentoe gegaan het.

9 Toe koning Hiski'a van Juda siek geword het en van sy siekte herstel het, het hy die volgende geskryf:

38:8 *Hierdie trappe is moontlik gebruik om te bepaal hoe laat dit is, soos 'n sonwyser.

HFST. 37

a Ge 10:8,11

Jon 1:2

b 2Kn 19:7,28

c 2Kr 32:21

d Ge 8:4

e Esr 4:1,2

HFST. 38

f 2Kr 32:24

g 2Kn 19:20

Jes 1:1

h 2Kn 20:1-3

i Ne 13:22

Ps 20:1-3

Heb 6:10

j 2Kr 31:20,21

k 2Kn 20:4-6

l Spr 15:29

1Jg 5:14

m Ps 39:12

Ps 56:8

n De 32:39

1Sa 2:6

o 2Kr 32:22

p 2Kn 20:8-11

q Jos 10:12,13

Tweede kol.

a Ps 6:5

Pr 9:5

b Ps 146:4

Pr 8:8

c Job 17:1

d Ps 39:10

e Ps 102:7

f Jes 59:11

g Ps 39:7

h Ps 39:12

Ps 119:82,

123

10 Ek het gesê: "Ek moet in die beste jare van my lewe by die poorte van die Graf* ingaan.

Ek sal beroof word van my oorblywende jare."

11 Ek het gesê: "Ek sal Jah* nie sien nie. Ek sal Jah in die land van die lewendes nie sien nie.^a

Wanneer ek by die inwoners is van die plek waar alles tot 'n einde kom, sal ek die mensdom nie meer sien nie.

12 My woonplek is soos die tent van 'n herder wat afgeslaan is en van my weggeneem is.^b

Ek het my lewe opgerol soos 'n wewer 'n stuk lap oprol.

Ek word losgesny van die weefraam af.

Van die oggend tot die aand maak u 'n einde aan my.^c

13 Ek probeer kalm bly tot die oggend.

Soos 'n leeu hou hy aan om al my bene te breek.

Van die oggend tot die aand maak u 'n einde aan my.^d

14 Ek piep heeltyd soos 'n swaeltjie of 'n lyster.^{*e}

Ek hou aan koer soos 'n duif.^f

Uitgeput kyk ek na bo:^g 'O Jehovah, ek ly verskriklik.

Ondersteun my asseblief!^h

15 Wat kan ek sê?

Hy het met my gepraat en opgetree.

Al my jare sal ek nederig wees

weens my bittere lyding.

38:10 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

38:11 *"Jah" is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. **38:14** *Of moontlik "kraanvoël".

16 'O Jehovah, deur hierdie dinge* lewe elke mens, en dit beteken lewe vir my gees.

U sal my weer gesond maak en my laat lewe.^a

17 In plaas van vrede het ek bittere lyding gehad. Maar uit liefde vir my het u my gered van die plek van vernietiging.^b

U het al my sondes agter u rug gegooi.^{*c}

18 Want die Graf* kan u nie prys nie.^d
Die dood kan u nie loof nie.^e
Dié wat in die graf afgaan, kan nie hoop op u getrouheid nie.^f

19 Net die lewendes kan u prys, soos ek vandag kan.
'n Pa kan sy kinders oor u getrouheid leer.^g

20 O Jehovah, red my!
Dan sal ons al die dae van ons lewe my liedere op snaarinstrumente speel^h in die huis van Jehovah.^{”i}

21 Jesaja het toe gesê: “Gaan haal 'n koek van saamgeperste droëvye en sit dit op die sweer, sodat hy kan herstel.”^j **22** Hiski'a het vroeër gevra: “Wat is die teken dat ek na die huis van Jehovah sal gaan?”^k

39 In daardie tyd het die koning van Babilon, Mero'-dag-Ba'ladan, die seun van Ba'ladan, briewe en 'n geskenk aan Hiski'a gestuur,^l want hy het gehoor dat hy siek was en gesond geword het.^m **2** Hiski'a het hulle verwelkom en vir hulle sy skathuisⁿ gewys – die silwer, die goud, die balsemolie en ander

38:16 *D.w.s. God se woorde en dade.
38:17 *Of “verwyder sodat u dit nie sien nie”. **38:18** *Of “Sjeool”. Sien Woordelys.

HFST. 38

a 1Sa 2:6
Job 33:28
Ps 71:20

b Ps 30:3
Ps 86:13
Jon 2:6

c Jes 43:25
Mi 7:18

d Ps 30:9

e Ps 6:5
Ps 115:17

f Pr 9:5, 10

g Ge 18:19
De 4:9
Jos 4:21-24

h Ps 30:11, 12

i 2Kn 20:5
Ps 84:2

j 2Kn 20:7

k 2Kn 20:8

HFST. 39

l 2Kr 32:23

m 2Kn 20:5
2Kn 20:12, 13

n 2Kr 32:27

Tweede kol.

a 2Kn 20:14, 15

b 2Kn 24:11, 13
2Kn 25:13
2Kr 36:18
Da 1:1, 2

c 2Kn 20:16-18

d 2Kn 24:12
Da 2:49
Da 5:29

e 2Kn 20:19

HFST. 40

f Jes 49:13
Jes 51:3
2Kor 1:3, 4

g Ps 79:8, 9
Jer 31:34
Jer 33:8

h Jer 16:18
Da 9:11, 12

kosbare olie, sy hele wapenhuis en alles wat in sy skatkamers was. Daar was niks in sy paleis en in sy hele ryk wat Hiski'a nie vir hulle gewys het nie.

3 Daarna het die profeet Jesaja na koning Hiski'a gegaan en vir hom gevra: “Wat het hierdie manne gesê, en waarvan daan het hulle gekom?” Toe het Hiski'a gesê: “Hulle het van 'n ver land gekom, van Babilon.”^a

4 Hy het toe gevra: “Wat het hulle in jou paleis gesien?” Hiski'a het gesê: “Hulle het alles in my paleis gesien. Daar was niks in my skatkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie.”

5 Jesaja het toe vir Hiski'a gesê: “Hoor die woord van Jehovah van die leërmagte: **6** ‘Die tyd kom wanneer alles in jou paleis en alles wat jou voorvaders tot vandag toe opgegaan het, na Babilon weggedra sal word. Daar sal niks oorbly nie.’^b sê Jehovah.^c **7** ‘En party van jou seuns wat nog gebore sal word, sal wegeneem word en sal hof-beamptes in die paleis van die koning van Babilon word.’^d

8 Toe het Hiski'a vir Jesaja gesê: “Die woord van Jehovah wat u oorgedra het, is goed.” Hy het bygevoeg: “Want daar sal vrede en stabiliteit* in my leef-tyd wees.”^e

40 “Vertroos my volk,” sê julle God, “vertrou hulle.”^f

2 “Praat vertroostend met* Jerusalem

en sê vir haar dat haar verpligte diens verby is, dat haar skuld afbetaal is.^g

Uit die hand van Jehovah het sy die volle straf ontvang* vir al haar sondes.”^h

39:8 *Of “waarheid”. **40:2** *Lett. “Spreek tot die hart van”. *Of “dubbel ontvang”.

- 3** Iemand roep in die wilder-
nis uit:
"Maak die weg van Jehovah
gereed!^a
Maak vir ons God 'n reguit
grootpad^b deur die
woestyn.^c
- 4** Laat elke vallei opgevul
word
en elke berg en heuwel
plat gemaak word.
Die ongelyke grond moet
gelyk word,
en die rotsagtige plekke
moet in 'n vlakke
verander.^d
- 5** Die heerlikheid van Jehovah
sal geopenbaar word,^e
en alle mense* sal dit sien,^f
want dit is wat Jehovah ge-
sê het."
- 6** Luister! Iemand sê:
"Roep uit!"
Iemand anders vra: "Wat
moet ek uitroep?"
"Alle mense* is soos groen
gras.
Al hulle lojale liefde is soos
'n bloeisel van die veld.^g
- 7** Die groen gras verdroog,
die bloeisel verlep,^h
want die asem* van Jehovah
blaas daaroor.ⁱ
Ja, die volk is maar net
groen gras.
- 8** Die groen gras verdroog,
die bloeisel verlep,
maar die woord van ons
God bly vir ewig."^j
- 9** Klim op 'n hoë berg,
o vrou wat goeie nuus vir
Sion bring.^k
Roep hard uit,
o vrou wat goeie nuus vir
Jerusalem bring.
Roep hard uit, moenie bang
wees nie.

40:5, 6 *Lett. "vlees". 40:7 *Of
"gees".

HFST. 40

a Jes 35:8
Jes 57:14
Mal 3:1

b Jes 11:16

c Mt 3:1, 3
Mr 1:2-4
Lu 3:3-6
Joh 1:23

d Jes 42:16

e Jes 24:15

f Jes 49:6
Jes 52:10

g Job 14:1, 2
Ps 90:5, 6

h Jak 1:11

i Ps 103:15, 16

j Jes 46:10
1Pe 1:24, 25

k Jes 52:7

Tweede kol.

a Jes 12:2
Jes 25:9

b Jes 53:1
Joh 12:37, 38

c Jes 62:11
Op 22:12

d Jes 49:10
Ese 34:15, 16
1Pe 2:25

e Ge 33:13
1Pe 5:2, 3

f Spr 30:4

g Job 38:4, 5

h Job 36:22, 23
Ro 11:34
1Kor 2:16

i Ps 147:5

j Ps 62:9

Sê vir die stede van Juda:
"Hier is julle God."^a

- 10** Kyk! Die Soewereine Heer
Jehovah sal met mag kom,
en sy arm sal vir hom
heers.^b
Die beloning wat God gee,
is by hom,
en die loon wat hy betaal,
is voor hom.^c
- 11** Hy sal soos 'n herder vir
sy kudde sorg.^d
Met sy arm sal hy die lam-
mers bymekaarmaak
en hulle teen sy bors dra.
Hy sal die ooeie wat lammers
het, liefdevol lei.^e
- 12** Wie het die waters in die
holte van sy hand afge-
meet,^f
en die afmetings van die
hemel met 'n span van sy
hand* geneem?
Wie het die stof van die aar-
de in 'n maatbeker byme-
kaargemaak,^g
of die berge en die heuwels
met 'n weegskaal geweeg?
- 13** Wie het die gees van Jeho-
vah gemeet,*
en wie kan hom iets leer
of raad gee?^h
- 14** Wie het hy geraadpleeg om
insig te kry,
of wie leer hom wat die pad
van geregtigheid is,
of wie gee hom kennis
of wys hom wat die weg van
ware insig is?ⁱ
- 15** Kyk! Die nasies is soos 'n
druppel uit 'n emmer,
en hulle word beskou as 'n
stoflagie op 'n weegskaal.^j
Hy tel die eilande op asof
hulle fyn stof is.

40:12 *Die afstand van die punt van die duim tot by die punt van die pinkie wanneer die hand uitgesprei is. Sien Aanh. B14. 40:13 *Of moontlik "verstaan".

- 16** Selfs die Li'banon-berge het nie genoeg bome om 'n vuur aan die brand te hou nie,
en die wilde diere daar is nie genoeg vir 'n brand-offer nie.
- 17** Voor hom is al die nasies soos niks.^a
Hy beskou hulle as niks, as iets wat nie bestaan nie.^b
- 18** Met wie kan julle God vergelyk?^c
Is daar enigiets wat soortgelyk is aan hom?^d
- 19** Die ambagsman maak 'n afgod.*
Die metaalwerker trek dit met goud oor,^e
en hy maak silwerkettings.
- 20** Hy kies 'n boom as sy bydrae,^f
'n boom wat nie sal verrot nie.
Hy soek vir hom 'n goeie ambagsman
om 'n beeld te maak wat nie sal omval nie.^g
- 21** Het julle nie geweet nie?
Het julle nie gehoor nie?
Is dit nie van die begin af vir julle vertel nie?
Het julle nie verstaan van dat die fundamente van die aarde gelê is nie?^h
- 22** Daar is Een wat bo die kring* van die aarde woon,ⁱ
en die bewoners daarvan is soos sprinkane.
Hy span die hemel oop soos fyn gaas,
en hy spreid dit uit soos 'n tent om in te woon.^j
- 23** Hy verlaag hoë amptenare sodat hulle niks is nie en maak die regters* van die aarde soos iets wat nie bestaan nie.

40:19 *Of "beeld". 40:22 *Of "sfeer". 40:23 *Of "leiers".

HFST. 40

- a Da 4:35
b Jes 41:11, 12
c Eks 8:10
Ps 86:8
Jer 10:6, 7
d De 4:15, 16
Han 17:29
e Ps 115:4-8
f Jes 44:14, 15
g Jes 41:7
Jes 46:6, 7
Jer 10:3, 4
h Ps 19:1
Ro 1:20
i Jes 66:1
j Jes 44:24
Jer 10:12
Sag 12:1

Tweede kol.

- a 1Kn 21:20, 21
2Kn 10:10, 11
Jer 22:24, 30
b Ps 102:25
c Ps 147:4
d Ps 89:13
e Jes 49:14
Ese 37:11
f Ge 21:33
Ps 90:2
Jer 10:10
1Ti 1:17
g Ps 121:4
Jes 27:3
h Ps 139:4, 6
Ps 147:5
Jes 55:9
Ro 11:33
1Kor 2:16
i Ps 29:11
Jes 40:26
Flp 4:13
Heb 11:33, 34

- 24** Hulle is skaars geplant,
hulle is skaars gesaaï,
hulle het skaars wortelge-skië,
dan word daar op hulle ge-blaas en hulle verdroog,
en die wind waai hulle weg soos grasstoppels.^a
- 25** "Met wie kan julle my verge-lyk? Wie is gelyk aan my?"
sê die Heilige.
- 26** "Kyk op na die hemel.
Wie het hierdie dinge geskep?"^b
Dit is die Een wat hulle leërmag uitlei in hulle volle getal.
Hy noem elkeen op sy naam.^c
Weens die oorfloed van sy dinamiese energie en sy ontsaglike krag^d
is hulle almal daar.
- 27** Hoekom sê jy, o Jakob,
en hoekom beweër jy,
o Israel:
'Jehovah sien nie wat met my gebeur nie,
en ek ontvang geen geregtigheid van God nie?'^e
- 28** Het jy nie geweet nie? Het jy nie gehoor nie?
Jehovah, die Skepper van die eindes van die aarde,
is God tot in alle ewigheid.^f
Hy raak nooit moeg of uitgeput nie.^g
Niemand kan sy wysheid ten volle begryp nie.^h
- 29** Hy gee krag aan die een wat moeg is,
en hy versterk die een wat swak is.ⁱ
- 30** Seuns sal moeg en uitgeput raak,
en jong manne sal struikel en val,
31 maar dié wat op Jehovah hoop, sal nuwe krag kry.

Hulle sal sweef soos arende.^a
 Hulle sal hardloop en nie uitgeput raak nie.
 Hulle sal loop en nie moeg raak nie.”^b

- 41** “Wees stil en luister na my,* o eilande.
 Laat die nasies weer krag kry.
 Laat hulle nader kom en laat hulle dan praat.^c
 Laat ons bymekaarkom vir die regspraak.
- 2** Wie het iemand van die ooste* af laat opstaan^d en hom in regverdigheid na Hom toe geroep?[#]
 Wie lewer nasies aan hom oor en laat hom konings onderwerp?^e
 Wie het hulle soos stof voor sy swaard gemaak, soos grasstoppels in die wind voor sy boog?
- 3** Hy agtervolg hulle. Hy trek sonder dat iemand hom hinder op paaie waarop hy nog nie gereis het nie.
- 4** Wie het opgetree en dit gedoen?
 Wie het die geslagte van die begin af geroep?
 Ek, Jehovah, is die Eerste,^f en teenoor die laastes is ek dieselfde.”^g
- 5** Die eilande het dit gesien en het bang geword.
 Die eindes van die aarde het begin bewe.
 Hulle kom bymekaar en beweeg vorentoe.
- 6** Die een help die ander en sê vir sy broer: “Wees sterk.”

41:1 *Of “Bly stil voor my”. 41:2 *Lett. “sonsopkoms”. #D.w.s. om hom te dien.

HFST. 40

a Ps 103:5

b 1Kn 18:46
Ps 84:7

HFST. 41

c Jes 41:21

d Jes 44:28
Jes 46:11
Op 16:12

e Jes 45:1

f Jes 43:10
Jes 44:6
Jes 48:12
Op 1:8

g Jes 46:4
Mal 3:6
Jak 1:17

Tweede kol.

a Jes 44:12
Jes 46:6

b Eks 19:5, 6
Le 25:42

c De 7:6
Ps 33:12

d 2Kr 20:7
Jak 2:23

e Ps 107:2, 3

f Jes 43:10

g 1Sa 12:22
Jer 33:25, 26

h De 20:1
Ps 46:1
Ro 8:31

i Jes 60:19, 20

j De 33:27
Ps 115:9

k Jes 45:24

l Jes 40:17
Jes 60:12

m Jes 54:17

- 7** So moedig die ambagsman die metaalwerker aan.^a
 Die een wat die metaal met die hamer uitklop, moedig die een aan wat op die aambeeld slaan.
 Hy sê van die soldeerwerk: “Dit is goed.”
 Dan word die afgod met spykers vasgeslaan sodat dit nie omval nie.
- 8** “Maar jy, o Israel, is my kneg,^b
 jy, o Jakob, wat ek uitgekies het,^c
 die nageslag* van my vriend Abraham,^d
- 9** jy, wat ek van die eindes van die aarde af geneem het,^e
 en jy, wat ek van die mees afgeleë dele daarvan geroep het.
 Ek het vir jou gesê: ‘Jy is my kneg.’^f
 Ek het jou uitgekies. Ek het jou nie verwerp nie.^g
- 10** Moenie bang wees nie, want ek is met jou.^h
 Moenie angstig wees nie, want ek is jou God.ⁱ
 Ek sal jou versterk, ja, ek sal jou help.^j
 Ek sal jou stewig vashou met my regterhand van regverdigheid.^k
- 11** Almal wat vir jou woedend word, sal skaam kry en verneder word.^k
 Dié wat met jou baklei, sal aan hulle einde kom en verdwyn.^l
- 12** Jy sal soek na die manne wat teen jou veg, maar jy sal hulle nie vind nie.
 Die manne wat teen jou oorlog voer, sal word soos niks, soos iets wat glad nie bestaan nie.^m
- 13** Want ek, Jehovah jou God, gryp jou regterhand vas.

41:8 *Lett. “saad”.

- Ek is die Een wat vir jou sê:
'Moenie bang wees nie.
Ek sal jou help.^a
- 14** Moenie bang wees nie, Jakob, al is jy net 'n wurmpie.^{*b}
Manne van Israel, ek sal julle help,^c sê Jehovah, julle Terugkoper,^c die Heilige van Israel.
- 15** "Kyk! Ek het jou 'n dorslee gemaak,^d
'n nuwe slee met skerp tande.
Jy sal die berge vertrap en hulle fynmaal
en die heuwels soos kaf maak.
- 16** Jy sal hulle in die lug opgooi,
en die wind sal hulle wegwaai.
'n Windstorm sal hulle verstrooi.
Jy sal vreugdevol wees weens Jehovah.^e
Jy sal met trots praat oor die Heilige van Israel."^f
- 17** "Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie.
Hulle tong is droog van die dors.^g
Ek, Jehovah, sal hulle antwoord.^h
Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.ⁱ
- 18** Ek sal riviere op die kaal heuwels laat vloei,^j
en fonteine in die valleie.^k
Ek sal die wildernis in 'n poel vol riete verander,
en die waterlose land in waterfonteine.^l
- 19** In die woestyn sal ek die sederboom,
die akasia, die mirt en die denneboom plant.^m
- 41:14** *D.w.s. hulpeloos en onbelangrik.

HFST. 41

a De 33:29

b De 7:7

c Jes 43:14
Jes 47:4

d Mi 4:13

e Jes 25:9

f Jes 12:6

g De 28:48
Am 8:11h Jes 30:19
Jes 55:1i Ps 94:14
Jes 42:16
Heb 13:5

j Jes 30:25

k Jl 3:18

l Ps 107:35

m Jes 32:14, 15
Jes 60:21

Tweede kol.

a Jes 51:3
Jes 55:13

b Ese 39:28

c Jes 42:9
Jes 46:9, 10
Jes 48:5

d Jes 44:6, 7

e Jer 10:5

f Jes 44:10
Jer 10:14, 15g De 7:26
De 27:15
Ps 115:4, 8h Jes 44:28
Jes 45:1
Jer 51:28, 29i Jes 46:11
Op 16:12

j Mi 7:10

In die woestynvlakte sal ek die jenewerboom sowel as die es en die sipres plant,^a

- 20** sodat almal kan sien en weet
en erken en besef dat die hand van Jehovah dit gedoen het
en dat die Heilige van Israel dit geskep het."^b
- 21** "Stel julle saak," sê Jehovah.
"Lê julle argumente voor," sê die Koning van Jakob.
- 22** "Gee bewyse en vertel ons wat gaan gebeur.
Vertel ons wat vroeër gebeur het,
sodat ons daarvoor kan nadenk en kan weet hoe dinge sal afloop.
Of sê vir ons wat nog gaan gebeur.^c
- 23** Vertel ons wat in die toekoms gaan gebeur,
sodat ons kan weet dat julle gode is.^d
Ja, doen iets, goed of sleg, sodat ons verstom kan wees wanneer ons dit sien.^e
- 24** Kyk! Julle is nutteloos, en julle kan niks doen nie.^f
Enigiemand wat julle kies, is afskuwelik.^g
- 25** Ek het iemand van die noorde af laat opstaan, en hy sal kom,^h
iemand van die ooste^{*i} af wat my naam sal aanroep.
Hy sal heersers[#] vertrap asof hulle klei is,^j
soos 'n pottebakker wat die klei trap.
- 26** Wie het dit van die begin af voorspel, sodat ons dit kan weet,
- 41:25** *Lett. "sonsopkoms". [#]Of "onderheersers".

of dit lank gelede voorspel,
sodat ons kan sê: 'Hy is
reg'?"^a

Niemand het dit aangekon-
dig nie!

Niemand het dit bekend
gemaak nie!

Niemand het enigets by
julle gehoor nie!"^b

27 Ek was die eerste wat vir
Sion gesê het: "Kyk! Hier
is hulle!"^c

En ek sal 'n boodskapper
met goeie nuus na Jerusa-
lem stuur.^d

28 Maar ek het bly kyk, en daar
was niemand nie.

Nie een van hulle kon raad
gee nie.

En ek het hulle bly vra om
te antwoord.

29 Kyk! Hulle is almal nutte-
loos.

Hulle kan niks doen nie.
Hulle metaalbeelde is wind
en beteken niks nie.^e

42 Kyk! My kneg,^f wat ek
ondersteun!

Die een wat ek uitgekies
het^g en wat ek* goedge-
keur het!^h

Ek het my gees in hom
geplaas.ⁱ

Hy sal geregtigheid vir die
nasies bring.^j

2 Hy sal nie uitroep of skree
nie,

en hy sal nie sy stem in die
straat laat hoor nie.^k

3 Hy sal nie 'n geknakte riet
breek

of 'n lamppit wat dof brand,
uitdoof nie.^l

Hy is betroubaar en sal ge-
regtigheid bring.^m

4 Hy sal nie swak word of ge-
knak word totdat hy ge-
regtigheid op die aarde
gevestig het nie.ⁿ

HFST. 41

a Jes 43:9
Jes 44:7
Jes 45:21

b Hab 2:18, 19

c Jes 43:10

d Esr 1:1, 2
Jes 40:9

e Ps 115:4-8
Jes 44:9
1Kor 8:4

HFST. 42

f Jes 52:13

g Jes 49:7
Lu 9:35

h Mt 3:17
Joh 6:27
2Pe 1:17

i Jes 61:1
Mt 3:16

j Mt 12:15-18

k Sag 9:9
Mt 12:16, 19

l Mt 11:28, 29
Heb 2:17

m Jes 11:3, 4
Mt 12:20
Joh 5:30
Op 19:11

n Jes 9:7
Jes 49:8

Tweede kol.

a Jes 40:22, 26

b Jer 10:12

c Ge 2:7
Han 17:24, 25

d Job 12:10

e Jes 49:8

f Jes 49:6
Lu 2:29-32
Joh 8:12

g Jes 35:5

h Jes 61:1
1Pe 2:9

i Eks 34:14

j Jes 41:23
Jes 43:19
2Pe 1:21

k Ps 96:1
Ps 98:1
Op 14:3

l Jes 44:23

Die eilande wag ook vir
sy wet.*

5 Dit is wat die ware God,
Jehovah, sê,

die Skepper van die hemele
en die Een wat dit uitges-
pan het,^a

die Een wat die aarde en
die opbrengs daarvan
uitgesprei het,^b

die Een wat asem aan die
mense daarop gee,^c

en gees aan dié wat daarop
loop.^d

6 "Ek, Jehovah, het jou in
regverdigheid geroep.

Ek het jou hand gevat.

Ek sal jou beskerm en jou as
'n verbond vir die volk^e

en as 'n lig vir die nasies
gee,^f

7 sodat jy die blindes kan
laat sien,^g

die gevangenes uit die tronk
kan lei,

en dié wat in die duisternis
is, uit die gevangenis kan
lei.^h

8 Ek is Jehovah. Dit is
my naam.

Ek gee my heerlijkheid aan
niemand anders nie,*

en ook nie my lof aan
beelde nie.ⁱ

9 Kyk! Die eerste dinge het
gebeur.

Nou kondig ek nuwe dinge
aan.

Voordat dit gebeur, vertel
ek julle daarvan."^j

10 Sing vir Jehovah 'n nuwe
lied,^k

sing lofliedere vir hom
van die eindes van die
aarde af,^l

julle wat na die see gaan en
alles wat daarin is,

42:4 *Of "onderrigting". 42:8 *Of
"Ek deel nie my heerlijkheid met enig-
iemand anders nie".

- en julle, o eilande, en dié wat daarop woon.^a
- 11** Laat die wildernis en sy stede uitroep,^b ook die plekke waar Kedar^c woon.
Laat dié wat op die krans woon, uitroep van vreugde.
Laat hulle van die toppe van die berge af uitroep.
- 12** Laat hulle Jehovah verheerlik en hom op die eilande loof.^d
- 13** Jehovah sal soos 'n magtige vegter uitgaan, soos 'n soldaat wat gretig is om te veg.^e
Hy sal hard uitroep, ja, hy sal 'n oorlogskreet skree.
Hy sal wys dat hy magtiger is as sy vyande.^f
- 14** "Ek het lank stilgebly. Ek het niks gesê nie en my ingehou.
Soos 'n vrou wat geboorte gee, sal ek kreun, hyg en na asem snak.
- 15** Ek sal berge en heuwels verwoes en al hulle plante laat verdroog.
Ek sal riviere in eilande verander en rietpoele laat opdroog.^g
- 16** Ek sal die blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie^h en hulle op onbekende paaie laat loop.ⁱ
Ek sal die duisternis voor hulle in lig verander^j en die ongelyke terrein gelykmaak.^k
Dit is wat ek vir hulle sal doen, en ek sal hulle nie verlaat nie."
- 17** Dié wat op beelde vertrou, dié wat vir metaalbeelde sê: "Julle is ons gode,"
- HFST. 42
a Jes 51:5
b Jes 35:1
c Ge 25:13
Jes 60:7
d Ps 22:27
Jes 24:15
Jes 66:19
e Eks 15:3
Jes 59:17
f 1Sa 2:10
g Ps 107:33
Jes 44:27
Jes 50:2
h Jes 29:18
Jes 35:5
Jer 31:8
i Jes 30:21
j Jes 60:1, 20
k Jes 40:4
- Tweede kol.
a Jes 44:10, 11
Jes 45:16
b Jes 6:9, 10
Jes 43:8
c Jes 56:10
Jer 4:22
Ese 12:2
d Ese 33:31
e De 28:15, 33
Jer 50:17
f Ps 102:19, 20
g De 28:29, 52
h Rig 2:12, 14
2Kr 15:3, 6
Ps 106:41

- sal moet vlug en sal heeltemal verneder word.^a
- 18** Luister, julle wat doof is. Kyk en sien, julle wat blind is.^b
- 19** Niemand is so blind soos my kneg, so doof soos die boodskapper wat ek stuur nie.
Niemand is so blind soos die een wat beloon is, so blind soos die kneg van Jehovah nie.^c
- 20** Jy sien baie dinge, maar jy skenk nie aandag nie. Jou ore is oop, maar jy luister nie.^d
- 21** Ter wille van sy regverdigheid het Jehovah dit goedgevind om die wet* groot en glorieryk te maak.
- 22** Maar hierdie volk is beroof en gestroop.^e
Hulle almal word in gate gevange gehou en is in tronke opgesluit.^f
Hulle is beroof, en daar was niemand om hulle te red nie.^g
Hulle is weggeneem, en daar was niemand om te sê: "Bring hulle terug!" nie.
- 23** Wie van julle sal hierna luister?
Wie sal aandag skenk en daaruit leer vir die toekoms?
- 24** Wie het Jakob oorgegee aan rowers, en Israel aan plunderaars? Is dit nie Jehovah, die Een teen wie ons gesondig het nie?
Hulle het geweier om Sy weë te volg, en hulle het nie Sy wet* gehoorsaam nie.^h
- 25** Daarom het Hy woedend geword vir hulle
- 42:21, 24** *Of "onderrigting".

en aangehou om hulle te straf met oorlogsgeweld.^a
Dit het alles verteer wat om hulle was, maar hulle het geen aandag geskenk nie.^b
Dit het teen hulle opgevlam, maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie.^c

- 43** Dit is wat Jehovah, jou Skepper, sê, o Jakob, die Een wat jou gevorm het, o Israel:^d
“Moenie bang wees nie, want ek het jou teruggekoop.^e
Ek het jou op jou naam geroep.
Jy behoort aan my.
2 As jy deur die waters gaan, sal ek met jou wees,^f en as jy riviere oorsteek, sal dit nie bo-oor jou spoel nie.^g
As jy deur die vuur loop, sal jy nie geskroei word nie, en die vlam sal jou ook nie brand nie.
3 Want ek is Jehovah jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.
Ek het Egipte as ’n losprys vir jou gegee, Etiopië en Seba in ruil vir jou.
4 Want jy het kosbaar geword in my oë.^h
Jy is geëer, en ek is lief vir jou.ⁱ
Daarom sal ek mense in ruil vir jou gee, en nasies in ruil vir jou lewe.
5 Moenie bang wees nie, want ek is met jou.^j
Ek sal jou nageslag* van die ooste af bring en jou uit die weste byme-kaarmaak.^k

43:5 *Lett. “saad”.

HFST. 42

a De 32:22
Na 1:6

b Jes 9:13
Jer 5:3
Ho 7:9

c Jes 57:11

HFST. 43

d Ps 100:3
Jes 43:15
Jes 44:2, 21

e Jes 44:23
Jer 50:34

f Eks 14:29

g Jos 3:15, 16
2Kn 2:8

h Eks 19:5, 6

i De 7:8
Jer 31:3

j Jes 41:10
Jes 44:2
Jer 30:10

k De 30:1-3
Ps 106:47
Jes 66:20
Ese 36:24
Mi 2:12
Sag 8:7

Tweede kol.

a Jer 3:18

b Jer 31:8

c Jer 33:16

d Ps 100:3
Jes 29:23

e Jes 6:9, 10
Jes 42:18, 19

f Jes 41:1

g Jes 41:21, 22
Jes 44:7

h 1Kn 18:24, 25

i Han 1:8
Op 1:5

j De 4:37

k Jes 41:4

l Jes 44:8

m De 6:4

n Jes 12:2
Ho 13:4
1Ti 2:3
Jud 25

- 6 Ek sal vir die noorde sê:
‘Gee hulle terug!’^a
en vir die suide: ‘Laat hulle gaan.
Bring my seuns van ver af, en my dogters van die ein-des van die aarde af,^b
7 almal wat my naam dra^c
en wat ek ter wille van my heerlikheid geskep het, wat ek gemaak en gevorm het.’^d
8 Bring ’n volk uit wat blind is, al het hulle oë,
en wat doof is, al het hulle ore.^e
9 Laat al die nasies op een plek bymeekaarkom, en laat die volke versamel word.^f
Wie van hulle kan dit vertel of ons die eerste dinge* laat hoor?^g
Laat hulle hulle getuies bring om te probeer bewys dat hulle reg is, of laat mense dit hoor en sê: ‘Dit is die waarheid!’^h
10 “Julle is my getuies,”ⁱ sê Jehovah,
“ja, my kneg wat ek uitgekies het!^j
sodat julle my kan ken en geloof in my kan hê,*
en sodat julle kan verstaan dat ek dieselfde is.^k
Voor my is geen God gevorm nie,
en ná my was daar nie een nie.^l
11 Ek – ek is Jehovah,^m en daar is geen ander redder as ek nie.”ⁿ
12 “Ek is die Een wat dit verkondig het en julle gered het en dit bekend gemaak het

43:9 *Verwys moontlik na die dinge wat eerste in die toekoms gaan gebeur.
43:10 *Of “en my kan vertrou”.

- toe daar geen vreemde god by julle was nie.^a
Daarom is julle my getuies," sê Jehovah, "en ek is God.^b
- 13** Ek is altyd dieselfde,^c en daar is niemand wat enigiets uit my hand kan wegruk nie.^d
Wie kan my keer wanneer ek optree?"^e
- 14** Dit is wat Jehovah, julle Terugkoper,^f die Heilige van Israel,^g sê:
"Ter wille van julle sal ek 'n leërmag na Babilon stuur en die grendels van die poorte laat afkom,^h en die Galdeërs, in hulle skepe, sal ontsteld uitroep.ⁱ
- 15** Ek is Jehovah, julle Heilige,^j julle Koning,^k die Skepper van Israel."^l
- 16** Dit is wat Jehovah sê, die Een wat 'n weg deur die see en 'n pad deur onstuimige waters maak,^m
- 17** die Een wat die strydwa en die perd laat optrek,ⁿ die leërmag en die magtige vegters:
"Hulle sal gaan lê en nie weer opstaan nie.^o
Hulle sal verdwyn. Hulle sal soos 'n lamp uitge-doof word."
- 18** "Vergeet van die vorige dinge, en moenie bly dink aan die verlede nie.
- 19** Kyk! Ek doen iets nuuts.^p Dit begin nou al gebeur. Sien julle dit nie? Ek sal 'n pad deur die wildernis maak,^q en riviere deur die woestyn.^r
- 20** Die wilde diere van die veld sal my eer,

HFST. 43

- a De 32:12
b Jes 46:9,10
c Jes 41:4
Op 1:8
d De 32:39
e Jes 14:27
Da 4:35
f Jes 44:6
Jes 63:16
g Jes 54:5
h Jes 45:1,2
i Jer 50:10
j Ps 89:18
k De 33:5
Ps 74:12
Jes 33:22
Op 11:17
l Jes 43:1
m Eks 14:16
Jos 3:13
n Eks 15:4
o Jer 51:39
p Jes 42:9
q Jes 11:16
Jes 40:3
r Jes 41:18

Tweede kol.

- a Jes 41:17
Jer 31:9
b Ps 33:12
Jes 41:8
1Pe 2:9
c Jes 60:21
d Jes 64:7
e Jer 2:5
Ho 7:10
Mi 6:3
f Jes 66:3
g Le 3:14-16
h Jes 1:14,15
i Ps 25:7
Ps 79:8,9
Ese 20:9
j Jes 1:18
Jer 50:20
k Jer 31:34

- die jakkalse en die volstruise,
want ek voorsien water in die wildernis,
riviere in die woestyn,^a sodat my volk, die volk wat ek uitgekies het,^b kan drink.
- 21** Ek het hierdie volk vir my gevorm, sodat hulle my kan verheerlik.^c
- 22** Maar jy het my nie aangeroep nie, o Jakob,^d want jy het moeg geraak vir my, o Israel.^e
- 23** Jy het nie vir my skape vir jou heelbrandoffers gebring of my met jou offerandes verheerlik nie.
Ek het jou nie gedwing om vir my 'n gawe te bring of dit vir jou moeilik gemaak deur wierook te verwag nie.^f
- 24** Jy het nie vir my geurige riet met jou geld gekoop nie,
en jy het my nie versadig met die vet van jou offerandes nie.^g
Jy het my eerder met jou sondes belas en my moeg gemaak met jou oortredings.^h
- 25** Ek – ek is die Een wat jou oortredings* om my eie onthalweⁱ uitwis,^j en ek sal nie aan jou sondes dink nie.^k
- 26** Laat ons 'n regspraak teen mekaar voer.
Herinner my. Vertel my jou kant van die saak om te bewys dat jy reg is.
- 27** Jou eerste voorvader het gesondig,

43:25 *Of "opstandige daad".

en jou woordvoerders* het teen my in opstand gekom.^a

- 28 Daarom sal ek die hoofde van die heiligdom ontheilig, en ek sal Jakob oorgee om vernietig te word, en Israel om beledig te word.^b

44 “Luister, my kneg Jakob, en jy, o Israel, wat ek uitgekies het.^c

- 2 Dit is wat Jehovah sê, jou Maker en die Een wat jou gevorm het,^d wat jou van geboorte af gehelp het: ‘Moenie bang wees nie, my kneg Jakob,^e en jy, Jesu’run,^{*f} wat ek uitgekies het.

- 3 Want ek sal water gee aan die een wat dors is^{*g} en waterstrome oor die droë grond laat vloei. Ek sal my gees oor jou nageslag[#] uitstort,^h en my seën op jou nakomelinge.

- 4 En hulle sal uitspruit soos groen gras,ⁱ soos populiere by die waterstrome.

- 5 Die een sal sê: “Ek behoort aan Jehovah.”^j En die ander sal homself by die naam van Jakob noem, en ’n ander sal op sy hand skryf: “Jehovah se eien-dom.”

En hy sal die naam van Israel aanneem.’

- 6 Dit is wat Jehovah sê,

43:27 *Verwys moontlik na onderrigters van die Wet. 44:2 *’n Eretitel vir Israel wat “die opregte” beteken. 44:3 *Of “die dorre land”. #Lett. “saad”.

HFST. 43

a Jes 28:7
Jer 5:31

b Ps 79:4
Ps 137:3

HFST. 44

c Ge 17:1, 7
Ge 35:10, 11
Jes 41:8

d Jes 43:1
Jes 44:21

e Jes 41:10
Jer 30:10

f De 32:15
De 33:5, 26

g Jes 41:17

h Jes 32:14, 15

i Jes 61:11

j Sag 13:9

Tweede kol.

a De 33:5
Jes 33:22

b Eks 6:6
Jer 50:34

c Jes 41:4
Jes 48:12
Op 22:13

d De 4:35, 39
Jes 43:10

e Jes 46:9

f Jes 43:9
Jes 45:21

g Jes 41:10

h Jes 43:10

i De 32:4
2Sa 22:32

j Rig 10:14
1Kn 18:26
1Kor 8:4

k Ps 115:4, 5

l Jer 51:17

m Jer 10:5
Han 19:26

n 1Sa 5:3, 7

die Koning van Israel^a en sy Terugkoper,^b Jehovah van die leërmagte:

‘Ek is die eerste en ek is die laaste.^c

Daar is geen ander God as ek nie.^d

- 7 Wie is soos ek?^e

Laat hy dit bekend maak en dit aan my bewys!^f

Laat hy vertel wat nog gaan gebeur

sowel as wat nog sal kom, soos ek gedoen het van die tyd af dat ek die volk van lank gelede gevorm het.

- 8 Moenie bang wees nie, en moenie lam word van vrees nie.^g

Het ek nie vir elkeen van julle vooraf gesê en dit bekend gemaak nie?

Julle is my getuies.^h

Is daar enige ander God as ek?

Nee, daar is geen ander Rots nie.ⁱ Ek weet nie van een nie.”

- 9 Almal wat beelde maak, beteken niks, en die afgode waarvoor hulle lief is, sal niks help nie.^j Hulle kan nie getuig nie, want hulle* sien niks nie en weet niks nie.^k

Dié wat hulle gemaak het, sal skaam kry.^l

- 10 Wie sal ’n god vorm of ’n metaalbeeld maak wat geen voordeel kan bring nie?^m

- 11 Almal wat by hom aansluit, sal skaam kry!ⁿ Die ambagsmanne is maar net mense.

Laat hulle almal bymekaarkom en hulle plek inneem. Hulle sal almal doodbang wees en skaam kry.

- 44:9 *D.w.s. die beelde.

12 Die ystersmid bewerk die yster met sy gereedskap oor die kole.

Hy vorm dit met hamers en bewerk dit met sy sterk arms.^a

Dan word hy honger, en sy krag word minder.

Hy drink nie water nie en word moeg.

13 Die houtsnier meet die hout met sy maatlyn en teken 'n patroon met rooi kryt.

Hy bewerk dit met 'n beitel en merk dit met 'n passer.

Hy maak dit in die vorm van 'n mens,^b

'n mooi mens, om dit in 'n huis* te sit.^c

14 Daar is iemand wie se werk dit is om sederbome af te kap.

Hy kies 'n sekere soort boom, 'n eikeboom, en laat dit groot word tussen die bome van die woud.^d

Hy plant 'n lourierboom, en die reën laat dit groei.

15 Dan gebruik 'n man die hout om vuur te maak.

Hy neem 'n deel daarvan om hom warm te maak.

Hy maak 'n vuur en bak brood.

Maar hy maak ook 'n god en aanbid dit.

Hy maak 'n beeld en buig daarvoor neer.^e

16 Die een helfte verbrand hy in 'n vuur.

Hy braai vleis daarmee en eet totdat hy genoeg gehad het.

Hy maak hom warm en sê: "Hoe lekker warm kry ek nou terwyl ek na die vuur kyk."

44:13 *Of "heiligheid".

HFST. 44

a Jes 40:19
Jes 41:7
Jes 46:6

b Eks 20:4
De 4:15, 16
Han 17:29

c De 27:15

d Jes 40:20
Jer 10:3

e Eks 20:4, 5
Le 26:1
Hab 2:18, 19

Tweede kol.

a Jes 37:37, 38
Jes 45:20
Jes 46:7

b Jer 10:8, 14
Ro 1:21-23

c De 27:15

d Jes 43:1
Jes 44:1

e Jes 49:15

f Ps 51:1
Ps 103:12
Jes 1:18
Jes 43:25
Jer 33:8
Han 3:19

g Jes 1:27
Jes 48:20
Jes 59:20

17 Maar van die res maak hy vir homself 'n god, 'n beeld.

Hy buig daarvoor neer en aanbid dit.

Hy bid tot die beeld en sê: "Red my, want u is my god."^a

18 Hulle weet niks, hulle verstaan niks,^b

want hulle oë is heeltemal toe en hulle kan nie sien nie,

en hulle* het geen insig nie.

19 Hulle dink nie eers daaroor na nie

en het nie die kennis of verstand om te sê nie:

"Die een helfte het ek in 'n vuur verbrand,

en ek het op die kole brood gebak en vleis gebraai en geëet.

Moet ek dan iets afskuweliks van die res maak?^c

Moet ek 'n droë stuk hout van 'n boom aanbid?"

20 Hy is soos iemand wat as eet.

Sy hart is mislei en het hom op 'n dwaalspoor gebring.

Hy kan homself* nie red nie, en hy vra nie:

"Is dit nie 'n waardelose ding wat ek in my hand het nie?"

21 "Dink aan hierdie dinge, o Jakob, en jy, o Israel,

want jy is my kneg.

Ek het jou gevorm, en jy is my kneg.^d

O Israel, ek sal jou nie vergeet nie.^e

22 Ek sal jou oortredings uitwis soos met 'n wolk,^f

en jou sondes soos met 'n digte wolk.

Keer tog terug na my, want ek sal jou terugkoop.^g

44:18 *Lett. "hulle harte". 44:20 *Of "sy siel".

23 Roep met vreugde uit,
o hemele,
want Jehovah het opgetree!
Juig, o diepste dele van
die aarde!
Roep vreugdevol uit,
o berge,^a
o woud en al die bome
daarin!

Want Jehovah het Jakob
teruggekoop,
en hy vertoon sy heerlik-
heid in Israel.”^b

24 Dit is wat Jehovah sê, jou
Terugkoper,^c
wat jou gevorm het vandat
jy in die baarmoeder was:
“Ek is Jehovah, wat alles
gemaak het.

Ek het die hemel alleen
uitgespan,^d
en ek het die aarde uit-
gesprei.^e
Wie was by my?

25 Ek laat die tekens van valse
profete misluk,
en ek is die Een wat waar-
sêers soos dwase laat
optree,^f

die Een wat wyse manne
verwar
en wat hulle kennis in
dwaasheid verander.^g

26 Ek is die Een wat die woord
van sy kneg laat waar
word,
en wat die voorspellings van
sy boodskappers heelte-
mal vervul,^h

die Een wat van Jerusalem
sê: ‘Sy sal bewoon word,’ⁱ
en van die stede van Juda:
‘Hulle sal herbou word,’^j
en ek sal haar verwoeste
plekke herstel.’^k

27 Ek is die Een wat vir die diep
waters sê: ‘Verdamp,
en ek sal al jou riviere laat
opdroog.’^l

28 Ek is die Een wat van Kores^m
sê: ‘Hy is my herder,

HFST. 44

a Jes 49:13
Jes 55:12

b Jes 60:21

c Jes 44:6

d Job 26:7
Jes 40:22

e Jes 42:5
Jes 48:13

f Ho 9:7

g 2Sa 15:31
Jes 29:14

h Jos 23:14
Jes 55:10, 11
Sag 1:6

i Ps 147:2

j Jes 60:10

k Jes 61:4

l Jes 42:15
Jer 50:38
Op 16:12

m Esr 1:1, 2
Jes 41:25
Jes 45:1
Jes 46:11
Da 10:1

Tweede kol.

a Jes 48:14

b 2Kr 36:22, 23
Esr 6:3
Jes 45:13

HFST. 45

c Esr 1:1, 2
Jes 44:28

d Jes 45:4

e Jes 13:17
Jes 41:25

f Jes 13:4

g Ps 107:16

h Jer 50:35, 37

i Esr 1:1, 2
Jes 44:28

j De 4:35, 39
De 32:39

en hy sal my wil ten volle
uitvoer,^a
die Een wat van Jerusalem
sê: ‘Sy sal herbou word,’
en van die tempel: ‘Jou fon-
dament sal gelê word.’”^b

45 Dit is wat Jehovah vir sy
gesalfde sê, vir Kores,^c
wie se regterhand ek ge-
vat het^d

om nasies voor hom te
onderwerp,^e

om konings se wapens weg
te neem,
om voor hom die dubbele
deure oop te maak,
sodat die poorte nie gesluit
sal wees nie:

2 “Ek sal voor jou uit gaan,^f
en ek sal die heuwels gelyk-
maak.

Die koperdeure sal ek in
stukke breek,
en die ystergrendels sal ek
stukkend slaan.^g

3 Ek sal jou die skatte in die
duisternis gee
en die skatte wat in geheime
plekke weggesteek is,^h
sodat jy kan weet dat ek
Jehovah is,

die God van Israel, wat jou
op jou naam roep.ⁱ

4 Ter wille van my kneg Jakob
en van Israel, wat ek uitge-
kies het,
roep ek jou op jou naam.
Ek sal sorg dat jy geëer
word, al het jy my nie
geken nie.

5 Ek is Jehovah, en daar is
geen ander nie.
Daar is geen ander God
as ek nie.^j

Ek sal jou krag gee, al het jy
my nie geken nie,

6 sodat mense van die ooste
tot die weste* kan weet

45:6 *Let. “van die sonsopkoms tot
die sonsondergang”.

dat daar geen ander God is as ek nie.^a

Ek is Jehovah, en daar is geen ander nie.^b

7 Ek skep lig^c en duisternis.^d

Ek bring vrede^e en rampspoed.^f

Ek, Jehovah, doen al hierdie dinge.

8 O hemele, laat die reën van bo af val,^g

laat regverdigheid uit die wolke reën.

Laat die aarde oopgaan en redding voortbring

en laat dit terselfdertyd regverdigheid voortbring.^h

Ek, Jehovah, het dit geskep.”

9 Dit sal sleg gaan met die een wat met sy Maker stry,

want hy is maar net soos 'n stuk van 'n gebreekte kleipot

tussen al die ander stukke wat op die grond lê!

Moet die klei vir die Pottelbakker sê: “Wat maak jy?”ⁱ

Of moet wat gemaak is, sê: “Hy het geen hande nie?”*

10 Dit sal sleg gaan met die een wat vir 'n pa sê: “Waarvan word jy 'n pa?”

en vir 'n vrou: “Waarom gee jy geboorte?”

11 Dit is wat Jehovah sê, die Heilige van Israel,^j die Een wat hom gevorm het:

“Vra jy my oor die dinge wat nog kom,

en gee jy my bevale oor my kinders^k en oor die werk van my hande?

12 Ek het die aarde gemaak^l en die mens daarop geskep.^m

Ek het die hemel met my eie hande uitgespan,ⁿ

45:9 *Of moontlik “Of moet die klei sê: ‘Jou werk het geen handvatsels nie.’”

HFST. 45

a 1Sa 17:46

Ps 102:15, 16

Jes 37:20

b Ps 83:18

c Ge 1:3

Jer 31:35

d Eks 10:21

Ps 104:20

e Jes 26:12

f Pr 7:14

Am 3:6

g Ese 34:26

h Jes 61:11

i Jes 29:16

Jer 18:6

Ro 9:20

j Jes 43:3

k Ho 1:10

l Ge 1:1

Jes 40:28

m Ge 1:27

n Jes 44:24

Jer 32:17

Sag 12:1

Tweede kol.

a Ne 9:6

b Jes 42:6

c 2Kr 36:23

Esr 1:2, 3

Jes 44:28

d Jes 13:17

e Jes 14:16, 17

Jes 43:14

Jes 49:25

f Est 8:17

Jes 14:1, 2

Jes 49:23

Jes 60:14

Jes 61:5

g Sag 8:23

h Jes 43:11

Jes 60:16

Tit 1:3

i Ps 97:7

Jes 44:9

j Jes 26:4

Jes 51:6

k Jes 29:22

Jes 54:4

Jl 2:26

Sef 3:11

l Jes 42:5

Jer 10:12

en ek gee bevale aan die hele leërmag daarvan.”^a

13 “Weens my regverdigheid het ek 'n man laat opstaan,^b

en ek sal al sy paaie gelykmaak.

Hy is die een wat my stad sal bou^c

en wat my ballinge* sonder betaling of 'n omkoopgesken^d sal bevry,”^e sê Jehovah van die leërmagte.

14 Dit is wat Jehovah sê:

“Die wins* van Egipte en die handelsware^f van Etiopië en die Sabeërs, lang manne,

sal na jou toe oorkom en joune word.

Hulle sal in kettings agter jou loop.

Hulle sal kom en voor jou neerbuig.^g

Hulle sal vol ontsag vir jou sê: ‘God is beslis met jou,’^g

en daar is geen ander nie. Daar is geen ander God nie.”

15 Waarlik, u is 'n God wat uself verberg,

o God van Israel, die Redder.^h

16 Hulle almal sal skaam kry en verneder word.

Dié wat afgode maak, sal almal in skande weggaan.ⁱ

17 Maar Israel sal deur Jehovah gered word met 'n ewige redding.^j

Tot in alle ewigheid sal julle nie skaam kry of verneder word nie.^k

18 Want dít is wat Jehovah sê, die Skepper van die hemele,^l die ware God,

45:13 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. **45:14** *Of moontlik “werkers”. ^fOf moontlik “handelaars”.

die Een wat die aarde gevorm het, die Maker daarvan wat dit stewig gevestig het,^a

wat dit nie verniet geskep het nie,* maar wat dit gemaak het om bewoon te word;^b

“Ek is Jehovah, en daar is geen ander nie.

- 19** Ek het nie in 'n geheime plek,^c in 'n land van donkerte, gepraat nie.

Ek het nie vir die nageslag* van Jakob gesê dat hulle my verniet moet dien[#] nie.

Ek is Jehovah, wat die waarheid praat en wat sê wat reg is.^d

- 20** Kom bymekaar en kom nader.

Kom nader, julle wat uit die nasies gevlug het.^e

Dié wat beelde rondra, weet niks nie.

Hulle bid tot 'n god wat hulle nie kan red nie.^f

- 21** Bring julle verslag en stel julle saak.

Kom bymekaar en bespreek dit.

Wie het dit lank gelede voorspel

en dit lank terug vertel?

Is dit nie ek, Jehovah, nie?

Daar is geen ander God as ek nie.

Ek is 'n regverdige God en 'n Redder,^g daar is geen ander God nie.^h

- 22** Vertrou op my en word gered,ⁱ almal op die aarde, want ek is God, en daar is geen ander nie.^j

- 23** Ek het by myself gesweer. Die woord uit my mond is waar

45:18 *Of moontlik “nie geskep het om leeg te wees nie”. **45:19, 25** *Lett. “saad”. **45:19** [#]Lett. “soek”.

HFST. 45

a Ps 78:69
Ps 104:5
Ps 119:90
Spr 3:19

b Ge 1:28
Ge 9:1
Ps 37:29
Ps 115:16

c Jes 48:16

d Ps 111:7, 8
Ps 119:137

e Jes 66:20
Jer 50:28

f Jes 42:17
Jer 50:2

g Jes 43:3

h De 4:39
Jes 44:8
Mr 12:32

i Mi 7:7

j De 4:35

Tweede kol.

a Jes 55:10, 11

b De 6:13
Ro 14:11

c Jes 61:9

HFST. 46

d Jer 50:2
Jer 51:44

e Jes 45:20

f Jes 1:9

g Eks 19:4
De 1:31
Jes 44:2

h Jes 41:4

i Jes 43:13

j Eks 15:11

k Han 17:29

en sal nie terugkeer nie;^a
Elke knie sal voor my buig,
en elke tong sal sweer dat
hy lojaal sal bly^b

- 24** en sal sê: ‘By Jehovah is daar ware regverdigheid en krag.

Almal wat vir hom woedend word, sal skaam wees wanneer hulle voor hom verskyn.

- 25** Danksy Jehovah sal dit duidelik wees dat die nageslag* van Israel reg is,^c en hulle sal met trots oor hom praat.”

46

Bel buig neer^d en
Nebo buk.

Hulle afgode is op diere gelaai, op pakkdiere,^e soos 'n swaar las op die moeë diere.

- 2** Hulle sal saam buk en neerbuig.

Hulle kan nie die vragte* red nie,

en hulle gaan self in gevangenskap.

- 3** “Luister na my, o huis van Jakob, en almal wat van die huis van Israel oorgebly het,^f

julle wat ek van geboorte af ondersteun en gedra het.^g

- 4** Selfs wanneer jy oud word, sal ek dieselfde wees.^h Selfs wanneer jou hare grys is, sal ek aanhou om jou te dra.

Net soos ek in die verlede gedoen het, sal ek jou ondersteun en dra en red.ⁱ

- 5** Met wie kan julle my vergelyk? Of aan wie kan julle my gelykstel^j asof ons eenders is?^k

- 6** Daar is mense wat baie goud uit hulle geldsakke gooi.

46:2 *D.w.s. die afgode wat op die diere gelaai is.

Hulle weeg die silwer op die skaal af.

Hulle huur 'n metaalwerker, en hy maak 'n god daarmee.^a

Dan buig hulle daarvoor neer, ja, hulle aanbid dit.^{*b}

7 Hulle sit dit op hulle skouers.^c

Hulle dra dit en sit dit op 'n plek neer, en dan staan dit net daar.

Dit beweeg nie van daardie plek af nie.^d

Hulle roep dit aan, maar dit antwoord nie.

Dit kan niemand uit die moeilikheid red nie.^e

8 Dink hieraan en wees moedig.

Hou dit in gedagte, julle oortreders.

9 Onthou die vroeëre* dinge van lank gelede, dat ek God is en dat daar geen ander is nie.

Ek is God, en daar is niemand soos ek nie.^f

10 Van die begin af voorspel ek die uiteinde, en van die verre verlede af voorspel ek die dinge wat nog nie gedoen is nie.^g

Ek sê: 'Wat ek besluit,* sal gebeur,^h

en ek sal doen wat ek ook al wil.ⁱ

11 Uit die ooste* roep ek 'n roofvoël.^j

Uit 'n ver land roep ek die man wat my besluit[#] sal uitvoer.^k

Ek het gepraat, en ek sal dit laat gebeur.

Dit is wat ek besluit het, en ek sal dit uitvoer.^l

46:6 *Lett. "hulle buig daarvoor neer". **46:9** *Lett. "eerste". **46:10** *Of "My voorneme". **46:11** *Lett. "sonsopkoms". [#]Of "voorneme; raad".

HFST. 46

a Jes 40:19
Jer 10:8, 9

b Jes 44:16, 17
Da 3:1, 5

c Jer 10:5

d 1Sa 5:3

e 1Kn 18:26
Jes 37:37, 38
Jon 1:5

f De 32:26

g Jes 42:9
Jes 45:21

h Ps 33:11

i Ps 135:6
Jes 55:10, 11

j Jes 41:2
Jes 45:1

k Esr 1:1, 2
Jes 44:28
Jes 48:14

l Nu 23:19
Job 23:13

Tweede kol.

a Jes 12:2
Jes 51:5
Jes 62:11

b Jes 44:23
Jes 60:21

HFST. 47

c Ps 137:8
Jer 50:41, 42

d Da 5:30

e De 32:35, 41
Ps 94:1

f Jes 41:14
Jes 43:3
Jes 44:6

g Jes 47:1

h Jes 13:19
Jes 14:4
Op 17:5

12 Luister na my, julle wat so hardkoppig* is, julle wat ver van regverdigheid af is.

13 Ek het my regverdigheid naby gebring. Dit is nie ver weg nie, en my redding sal nie laat wees nie.^a

Ek sal vir Sion redding bring en vir Israel my prag gee."^b

47 Kom af en gaan sit in die stof, maagdelike dogter van Babilon.^c

Sit op die grond waar daar nie 'n troon is nie,^d dogter van die Galdeërs, want mense sal jou nooit weer fyn en bederf noem nie.

2 Neem 'n handmeul en maal meel.

Haal jou sluier af. Lig jou kleed op sodat jou bene kaal is.

Loop deur die riviere.

3 Jou naaktheid sal gesien word.

Jou skande sal geopenbaar word.

Ek sal wraak neem,^e en niemand sal in my pad staan nie.^{*}

4 "Die Een wat ons teruggekoop het – Jehovah van die leërmagte is sy naam – is die Heilige van Israel."^f

5 Gaan sit in stilte en gaan in die donkerte in, dogter van die Galdeërs.^g Hulle sal jou nie meer Koningin* van Koninkryke noem nie.^h

46:12 *Lett. "kragtig van hart". **47:3** *Of moontlik "en ek sal niemand vriendelik behandel nie". **47:5** *Of "Mees-teres".

- 6** Ek het kwaad geword vir my volk.^a
Ek het my erfdeel ontheilig,^b en ek het hulle in jou hand gegee.^c
Maar jy het geen genade aan hulle betoon nie.^d
Jy het selfs op die oumense 'n swaar juk gesit.^e
- 7** Jy het gesê: "Ek sal vir ewig die Koningin* wees."^f
Jy het nie aandag geskenk aan hierdie dinge nie.
Jy het nie gedink aan wat die uiteinde sou wees nie.
- 8** Luister nou, jy wat so lief is vir plesier,^g
wat in veiligheid sit en wat in jou hart sê:
"Ek is die belangrikste, en daar is niemand soos ek nie."^h
Ek sal nie 'n weduwee word nie.
Ek sal nooit my kinders verloor nie."ⁱ
- 9** Maar hierdie twee dinge sal skielik, op een dag, oor jou kom:^j
Jy sal jou kinders verloor en 'n weduwee word.
Hierdie ramspoed sal in volle maat oor jou kom^k as gevolg van* al jou towery en al jou kragtige tower-spreuke.^l
- 10** Jy het op jou goddeloosheid vertrou.
Jy het gesê: "Niemand sien my nie."
Jou wysheid en kennis het jou mislei,
en jy sê in jou hart: "Ek is die belangrikste, en daar is niemand soos ek nie."
- 11** Maar ramspoed sal oor jou kom,

47:7 *Of "Meesterses". 47:9 *Of moontlik "ten spyte van".

HFST. 47

a 2Kr 36:15, 16
Jes 42:24, 25
Sag 1:15

b De 28:63
Ese 24:21

c Jer 52:14

d 2Kn 25:18-21
Ps 137:8

e De 28:49, 50

f Da 4:30
Op 18:7

g Op 18:3

h Da 5:22, 23

i Op 18:7

j Op 18:10

k Jer 51:29

l Ese 21:21
Da 5:7
Op 18:23

Tweede kol.

a Op 18:10

b Da 2:2

c Da 5:7

d Jer 51:6

HFST. 48

e Ge 32:28

en jou toorkuns sal dit nie keer nie.

Ramspoed sal jou tref. Jy sal dit nie kan keer nie.

Jou ondergang sal skielik kom, en dit sal erger wees as enigiets wat jy al ooit ondervind het.^a

- 12** Hou dus aan met jou tower-spreuke en al jou towery,^b waarby jy van jongs af diep betrokke was.

Miskien sal jy daarby kan baat vind.

Miskien sal jy mense kan beïndruk.

- 13** Jy het moeg geword vir al jou raadgewers.

Laat hulle nou opstaan en jou red,

dié wat die hemel aanbid* en na die sterre kyk,^c wat elke nuwemaan bekend maak

wat met jou sal gebeur.

- 14** Kyk! Hulle is soos strooi. 'n Vuur sal hulle verteer. Hulle kan hulleself nie red van die mag van die vlam nie.

Dit is nie soos gloeiende kole wat 'n mens warm hou nie

of soos 'n vuur om by te sit nie.

- 15** Dit is hoe jou towenaars vir jou sal word, dié saam met wie jy van jongs af hard gewerk het. Hulle sal almal rondwaal en in verskillende rigtings verstrooi word.

Daar sal niemand wees om jou te red nie.^d

48 Luister, o huis van Jakob, julle wat julleself Israel noem^e

47:13 *Of moontlik "dié wat die hemel verdeel; die sterrevoorspellers".

en wat uit die waters van
Juda voortgekom het,*
julle wat by die naam van
Jehovah sweer^a

en wat die God van Israel
aanroep,
maar nie in opregtheid en
regverdigheid nie.^b

- 2** Want hulle noem hulleself
die mense van die heilige
stad,^c

en hulle soek die onder-
steuning van die God
van Israel,^d

wie se naam Jehovah van
die leërmagte is.

- 3** "Ek het die dinge wat vroeër
gebeur het,* lank gelede
aan julle bekend gemaak.
Ek het dit met my eie mond
gesê,

en ek het dit geopenbaar.^e
Ek het skielik opgetree, en
dit het plaasgevind.^f

- 4** Omdat ek weet hoe hard-
koppig jy is
– jou nek is 'n ystersening
en jou voorkop is koper^g –

- 5** het ek jou lank gelede
daarvan vertel.
Voordat dit gebeur het, het
ek jou daarvan vertel,
sodat jy nie kon sê: 'My
afgod het dit gedoen,
en my beelde* het beveel
dat dit moet gebeur' nie.

- 6** Jy het dit alles gehoor en
gesien.

Gaan jy dit nie verkondig
nie?^h

Van nou af gaan ek nuwe
dinge aan jou bekend
maak,ⁱ

geheime waarvan jy nie
geweet het nie.

48:1 *Of moontlik "wat nakomeling van Juda is". **48:3** *Lett. "die eerste dinge". **48:5** *Of "my uitgekerfde beeld en my metaalbeeld".

HFST. 48

a De 6:13

b Le 19:12
Sef 1:4, 5

c Jes 52:1

d Jer 21:1, 2

e Jes 42:9

f Jos 21:45
Jes 55:10, 11

g Eks 32:9
2Kn 17:13, 14
2Kr 36:15, 16
Ps 78:8
Ese 3:7

h Jes 43:10

i Jes 42:9
Jes 65:17

Tweede kol.

a Jes 29:10

b Jer 5:11
Jer 9:2

c De 9:7
Ps 95:10

d 1Sa 12:22
Ps 25:11
Ps 79:9
Jer 14:7

e Ne 9:30, 31
Ps 78:38

f Spr 17:3

g Jes 1:25
Jer 9:7

h Jes 48:9

i Ese 20:9

j Jes 43:13
Jes 46:4

k Jes 44:6
Op 1:8
Op 22:13

l Job 38:4

m Jes 40:22
Jes 42:5

- 7** Hulle word nou eers geskep.
Hulle is nie lank gelede
geskep nie.

Jy het tot nou toe nie van
hierdie dinge gehoor nie,
sodat jy nie kan sê: 'Ek weet
dit al lankal' nie.

- 8** Nee, jy het nie gehoor nie,^a
jy het nie geweet nie,
en in die verlede was jou
ore toe.

Want ek weet dat jy baie
bedrieglik is,^b
en jy is van geboorte af 'n
oortreder genoem.^c

- 9** Maar ter wille van my
naam sal ek my woede
terughou.^d

Ter wille van my eer sal ek
nie teen jou optree nie,
en ek sal jou nie vernietig
nie.^e

- 10** Kyk! Ek het jou gesuiwer,
maar nie soos silwer nie.^f
Ek het jou gesuiwer* in die
smeltoond van lyding.^g

- 11** Om my eie onthalwe, om
my eie onthalwe, sal ek
optree,^h
want hoe kan ek toelaat dat
ek onheilig word?ⁱ
Ek gee my heerlikheid aan
niemand anders nie.*

- 12** Luister na my, o Jakob, en
Israel, wat ek geroep het.
Ek is dieselfde.^j Ek is die
eerste, en ek is ook die
laaste.^k

- 13** My eie hand het die fonda-
ment van die aarde gelê,^l
en my regterhand het die
hemel uitgesprei.^m
Wanneer ek hulle roep,
staan hulle saam op.

- 14** Kom almal bymekaar en
luister.

48:10 *Of "getoets; ondersoek". Of moontlik "gekies". **48:11** *Of "Ek deel nie my heerlikheid met enigiemand anders nie".

Wie van hulle* het hierdie dinge aangekondig?

Jehovah het iemand liefgehad^a

wat sy wil in verband met Babilon sal uitvoer,^b en sy arm sal die Galdeërs tref.^c

15 Ek het gepraat, en ek het hom geroep.^d

Ek het hom gebring, en hy sal suksesvol wees.^e

16 Kom nader en luister hierna.

Van die begin af het ek nooit in die geheim gepraat nie.^f

Toe dit gebeur het, was ek daar.^g

En nou het die Soewereine Heer Jehovah my gestuur, sowel as sy gees.

17 Dít is wat Jehovah sê, jou Terugkoper, die Heilige van Israel:^g

“Ek, Jehovah, is jou God, die Een wat jou leer om jouself te bevoordeel,^h

die Een wat jou lei op die weg wat jy moet volg.ⁱ

18 As jy maar net aan my gebooi aandag sal skenk!^j Dan sal jou vrede net soos 'n rivier word,^k en jou regverdigheid soos die golwe van die see.^l

19 Jou nageslag* sal dan so baie wees soos die sand, en jou nakomelinge soos die sandkorrels.^m

Hulle naam sal nooit voor my uitgeroei of uitgewis word nie.ⁿ

20 Gaan uit Babilon uit!ⁿ

Vlug van die Galdeërs af! Kondig dit aan met uitroep van vreugde! Maak dit bekend!^o

48:14 *Verwys blykbaar na die valse gode. 48:17 *Of “vir jou eie beswil”. 48:19 *Lett. “saad”.

HFST. 48

a Jes 45:1

b Jes 44:28

c Jes 13:19
Jer 50:13

d Jes 41:2

e Jes 45:5

f Jes 45:19

g Jes 43:14
Jes 44:6
Jes 54:5

h 1Kn 8:36
Ps 25:8
Jes 54:13
Mi 4:2

i Ps 32:8
Jes 30:20, 21
Jes 49:10

j De 5:29
Ps 81:13, 14

k Ps 119:165
Jes 32:18
Jes 66:12

l Am 5:23, 24

m Ge 22:15, 17
Jer 33:22
Ho 1:10

n Jer 50:8
Op 18:4

o Jes 49:13

Tweede kol.

a Jer 50:2

b Jer 31:10, 11

c Eks 15:24, 25
De 8:14, 15
Jes 43:19

d Eks 17:5, 6
Nu 20:11

e Jes 57:20, 21

HFST. 49

f Jes 55:4

g Jes 44:2
Jes 46:3

h Jes 51:16

i Jes 43:10

j Jes 44:23

k Jes 40:10

Verkondig dit tot aan die eindes van die aarde.^a

Sê: “Jehovah het sy kneg Jakob teruggekoop.^b

21 Hulle het nie dors geword toe hy hulle deur verwoeste plekke gelei het nie.^c

Hy het vir hulle water uit die rots laat vloei.

Hy het 'n rots laat oopbreek en water laat uitstroom.”^d

22 “Daar is geen vrede vir die goddeloses nie,”^e sê Jehovah.

49 Luister na my, o eilande, en skenk aandag, o nasies wat ver weg is.^f

Voor my geboorte het Jehovah my geroep.^g

Toe ek nog in die baarmoeder was, het hy my naam genoem.

2 Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak.

In die skaduwee van sy hand het hy my beskerm.^h

Hy het my 'n skerp pyl gemaak.

Hy het my in sy pylkoker weggesteek.

3 Hy het vir my gesê: “Jy is my kneg, o Israel.ⁱ

Deur middel van jou sal ek my prag vertoon.”^j

4 Maar ek het gesê: “Ek het verniet hard gewerk.

Ek het my krag verniet opgebruik vir iets wat niks beteken nie.

Maar Jehovah sal my beslis oordeel,^k

en my God sal my beloon.”^l

5 En nou het Jehovah, die Een wat my gevorm het om sy kneg te wees toe ek nog in die baarmoeder was, vir my gesê dat ek Jakob na hom toe moet terugbring,

49:4 *Of “Jehovah sal my geregtigheid gee”. *Of “my loon is by God”.

sodat Israel by hom versamel kan word.^a

Ek sal verheerlik word in die oë van Jehovah, en my God sal dan my sterkte wees.

- 6** En hy het gesê: “Jy, my kneg, sal nie net die stamme van Jakob herstel en die Israëliete wat gespaar is, terugbring nie. Ek het jou ook as ’n lig vir die nasies gegee,^b sodat my redding die eindes van die aarde kan bereik.”^c

7 Dit is wat Jehovah, die Rugkoper van Israel, die Heilige van Israel,^d vir die een sê waarop daar neergesien word^e en wat deur die nasie gehaat word, vir die kneg van heersers:

“Konings sal dit sien en opstaan, en leiers sal neerbuig weens Jehovah, wat getrou is,^f weens die Heilige van Israel,^g wat jou uitgekies het.”

- 8** Dit is wat Jehovah sê: “In ’n gunstige tyd het ek jou geantwoord,^h en in ’n dag van redding het ek jou gehelp.ⁱ Ek het jou heeltyd beskerm, sodat ek jou as ’n verbond vir die volk kan gee,^j om die land te herstel, om hulle verwoeste erfdele aan hulle terug te gee,^k

- 9** om vir die gevangeses te sê: ‘Gaan uit!’^l en vir dié in die duisternis:^m ‘Kom uit!’ Hulle sal langs die paaie wei, en hulle weiveld sal langs al die uitgetrapte paaie* wees.

HFST. 49

a Jes 56:8

b Jes 42:6
Mt 12:18
Lu 2:30, 32

c Ps 98:2
Jes 11:10
Jes 52:10
Han 13:47

d Jes 43:14

e Jes 53:3

f De 7:9

g Jes 42:1

h Ps 69:13

i Lu 1:69
Lu 22:43
2Kor 6:2
Heb 5:7

j Jes 42:6, 7

k Jes 54:3

l Ps 102:19, 20

m Ps 112:4
Jes 9:2
Lu 1:68, 79

Tweede kol.

a Jes 55:1
Jes 65:13

b Jes 32:2

c Ese 34:23

d Ps 23:1, 2
Jer 31:9
Op 7:16, 17

e Ps 107:6, 7
Jes 11:16
Jes 40:3, 4

f De 30:4

g Jes 43:5, 6

h Jes 42:10

i Jes 55:12

j Jes 12:1
Jes 40:1
Jes 66:13

k Jes 44:23
Jes 61:3
Jer 31:13

l Jes 54:7

m Klg 5:20

n Jes 44:21
Jer 31:20

o Jes 43:5, 6
Jes 60:4

- 10** Hulle sal nie honger of dors wees nie,^a en die verskroeiende hitte en die son sal hulle nie brand nie.^b

Want die Een wat genade aan hulle betoon, sal hulle lei,^c

en hy sal hulle na waterfonteine bring.^d

- 11** Ek sal al my berge in paaie verander, en my grootpaaie sal verhoog word.^e

- 12** Kyk! Hulle kom van ver af,^f en kyk! Party kom uit die noorde en uit die weste, en ander kom uit die land Sinim.”^g

- 13** Roep uit van vreugde, o hemele, en wees bly, o aarde.^h

Laat die berge vrolik word met uitroep van vreugde.ⁱ

Want Jehovah het sy volk vertrous,^j

en hy betoon genade aan dié wat swaarkry.^k

- 14** Maar Sion het bly sê: “Jehovah het my verlaat,^l en Jehovah het my vergeet.”^m

- 15** Kan ’n vrou haar eie baba vergeet

en haar nie ontferm oor haar kind aan wie sy geboorte gegee het nie?

Selfs al sou ’n vrou haar kind vergeet, sal ek jou nooit vergeet nie.ⁿ

- 16** Kyk! Ek het jou op my palms gegraveer.

Jou mure is heeltyd voor my.

- 17** Jou seuns is vinnig op pad terug.

Dié wat jou afgebreek en verwoes het, sal van jou af weggaan.

- 18** Kyk rondom jou. Hulle kom almal bymekaar.^o

49:9 *Of moontlik “kaal heuwels”.

Hulle kom na jou toe.
 “So waar as wat ek lewe,”
 sê Jehovah,
 “hulle almal sal vir jou soos
 versierings wees,
 en jy sal hulle dra soos ’n
 bruid versierings dra.

19 Hoewel jou plekke verwoes
 en verlate was en jou land
 ’n woesteny was,^a
 sal dit nou te klein word vir
 die mense wat daar woon,^b
 en dié wat jou verwoes het,^c
 sal ver weg wees.^d

20 Dié wat gebore is nadat jy
 jou kinders verloor het,
 sal in jou teenwoordig-
 heid sê:
 ‘Hierdie plek is te klein
 vir my.
 Maak vir my plek om in
 te woon.’^e

21 En jy sal wonder:
 ‘Wie se kinders het ek
 gekry?
 Want ek is ’n vrou wat my
 kinders verloor het en
 wat onvrugbaar is.
 Ek is gevange geneem en
 was in ballingskap.
 Wie het hulle grootgemaak?’^f
 Ek het alleen agtergebly.^g
 Waar kom hulle dan van-
 daan?’^h

22 Dit is wat die Soewereine
 Heer Jehovah sê:
 “Ek sal my hand lig sodat
 die nasies dit kan sien,
 en ek sal my banier* vir
 die volke oprig.ⁱ
 Hulle sal jou seuns in hulle
 arms bring
 en jou dogters op hulle
 skouers dra.^j

23 Konings sal jou oppassers
 word,^k
 en hulle prinsesse sal jou
 versorg.

49:22 *Of “seinpaal”.

HFST. 49

- a Jes 51:3
 b Jer 30:18,19
 c Jer 51:34
 d Jer 30:16
 e Jes 54:1,2
 f Jes 43:5
 Jer 31:17
 g Klg 1:1
 h Jes 62:4
 i Esr 1:3
 Jes 11:10,12
 Jes 62:10
 j Jes 60:4
 Jes 66:20
 k Jes 60:10,16

Tweede kol.

- a Jes 60:14
 b Mi 7:16,17
 c Jes 25:9
 d Jer 29:14
 Jer 46:27
 Ho 6:11
 Jl 3:1
 e Jes 52:2
 Jer 29:10
 Jer 50:34
 Sag 9:11
 f Jes 54:17
 g Ese 39:28
 h 1Ti 1:1
 i Jes 41:14
 Jes 48:20
 j Jes 60:16

HFST. 50

- k De 24:1
 l 2Kn 17:16,17
 m Jes 59:2
 Jer 3:1

Hulle sal voor jou neerbuig
 met hulle gesigte na die
 grond toe^a
 en onderdanig wees aan
 jou,^{*b}
 en jy sal moet weet dat ek
 Jehovah is.

Dié wat op my hoop, sal nie
 teleurgestel word nie.”^c

24 Kan dié wat reeds gevange
 geneem is, van ’n sterk
 man afgeneem word,
 of kan die gevangenes van
 die onderdrukker gered
 word?

25 Maar dit is wat Jehovah sê:
 “Selfs dié gevangenes van ’n
 sterk man sal weggeneem
 word,^d
 en dié wat deur die onder-
 drukker gevange geneem
 is, sal gered word.”^e

Ek sal dié teëstaan wat jou
 teëstaan,^f
 en ek sal jou kinders red.

26 Ek sal dié wat jou sleg be-
 handel, hulle eie vlees
 laat eet,
 en hulle sal van hulle eie
 bloed dronk word soos
 van soet wyn.
 En alle mense sal moet weet
 dat ek Jehovah is,^g
 jou Redder^h en jou Terug-
 koper,ⁱ
 die Magtige van Jakob.”^j

50 Dit is wat Jehovah sê:
 “Waar is die skeibrief^k
 van julle ma, wat ek
 weggestuur het?

Of aan watter een van my
 skuldeisers het ek julle
 verkoop?

Dit was weens julle eie son-
 des^l dat julle verkoop is,
 en dit was weens julle eie
 oortredings dat julle ma
 weggestuur is.^m

49:23 *Lett. “en die stof van jou voete
 oplek”.

- 2** Hoekom was daar dan niemand hier toe ek gekom het nie?
Hoekom het niemand geantwoord toe ek geroep het nie?^a
Is my hand te kort om julle te verlos?
Of het ek nie die krag om julle te red nie?^b
Kyk! Op my bevel droog die see op.^c
Ek maak riviere 'n woestyn.^d
Die visse verrot omdat daar nie water is nie,
en hulle sterf van die dors.
- 3** Ek laat die hemel donker word,^e
en ek bedek dit met saklinne.^f
- 4** Die Soewereine Heer Jehovah het my die tong gegee van dié wat geleer is,^g
sodat ek kan weet wat om te sê vir die een wat moeg is.^h
Hy maak my elke oggend wakker.
Hy maak my wakker sodat ek kan luister soos dié wat geleer word.ⁱ
- 5** Die Soewereine Heer Jehovah het my ore geopen, en ek was nie opstandig nie.^j
Ek het nie in die teenoorgestelde rigting gedraai nie.^k
- 6** Ek het toegelaat dat hulle my op my rug slaan en dat hulle die baard op my wange uittrek.
Ek het nie my gesig weggedraai toe hulle my verneder het en in my gesig gespoeg het nie.^l
- 7** Maar die Soewereine Heer Jehovah sal my help.^m

50:4 *Of "n goed opgeleide tong gegee". ^aOf moontlik "sodat ek die een wat moeg is, kan versterk".

HFST. 50

a Jer 35:15

b Jes 40:28
Jes 59:1

c Eks 14:21, 29
Ps 106:9
Jes 51:10

d Ps 107:33
Ps 114:1, 3
Jes 42:15
Na 1:4

e Eks 10:21

f Eks 4:11
Jer 1:9

g Joh 7:15, 46

h Mt 13:54

i Ps 40:6-8

j Mt 26:39
Flp 2:8

k Mt 26:67
Mr 14:65
Lu 22:63
Joh 18:22

l Jes 49:8

Tweede kol.

a Ese 3:8, 9

b Ro 8:33

c Jes 42:1
Jes 53:11

Daarom sal ek nie verneder voel nie.

Daarom het ek my gesig so hard soos klip* gemaak,^a
en ek weet dat ek nie sal skaam kry nie.

- 8** Die Een wat my regverdig verklaar, is naby.
Wie kan my beskuldig?^{*b}
Laat ons al twee ons saak stel.

Wie het 'n regsak teen my?
Laat hom na my toe kom.

- 9** Die Soewereine Heer Jehovah sal my help.
Wie sal my skuldig verklaar?
Hulle sal almal vergaan soos 'n kleed
wat deur 'n mot opgevreet word.

- 10** Wie van julle vrees Jehovah en luister na die stem van sy kneg?^c

Wie het in diep duisternis gelewe, sonder enige lig?
Laat hom op die naam van Jehovah vertrou en op sy God staatmaak.

- 11** "Maar julle almal wat 'n vuur aansteek en die vonke laat spat, julle moet in die lig van julle vuur loop, tussen die vonke wat julle self gemaak het.
Dit is die straf wat julle van my sal ontvang:
In verskriklike pyn sal julle gaan lê.

- 51** "Luister na my, julle wat regverdigheid nastreef, julle wat Jehovah wil leer ken.*
Dink aan die rots waaruit julle gekap is en die steengroef waaruit julle gegrawe is.

50:7 *Lett. "vuurklip". **50:8** *Of "met my stry". **51:1** *Lett. "wat Jehovah soek".

- 2** Dink aan Abraham, julle vader,
en Sara,^a wat aan julle geboorte gegee het.
Want hy was net een persoon toe ek hom geroep het,^b
en ek het hom geseën en hom baie gemaak.^c
- 3** Want Jehovah sal Sion vertrous.^d
Hy sal al haar verwoeste plekke vertrous,^e
en hy sal haar wildernis soos Eden maak,^f
en haar woestynvlakte soos die tuin van Jehovah.^g
Daar sal blydskap en uitroep van vreugde in haar wees,
dankbaarheid en pragtige liedjies.^h
- 4** Skenk aandag aan my, my volk,
en luister na my, my nasie.ⁱ
Want ek sal 'n wet laat uitgaan,^j
en ek sal sorg dat my geregtigheid 'n lig vir die volke word.^k
- 5** My regverdigheid kom nader.^l
My redding is op pad,^m
en met my mag* sal ek die volke oordeel.ⁿ
Die eilande sal op my hoop,^o
en hulle sal wag vir my om op te tree.^p
- 6** Kyk op na die hemel, en kyk af na die aarde.
Want die hemel sal verdwyn soos rook.
Die aarde sal vergaan soos 'n kledingstuk,
en die mense daarop sal sterf soos vlieë.
Maar my redding sal ewig wees,^p

51:5 *Lett. "arms". #Lett. "op my arm wag".

HFST. 51

- a Ge 21:2
b Ge 12:1
Ge 15:2
c 1Kn 4:20
d Ps 102:13
Jes 66:13
Jer 31:12
e Jes 44:26
Jes 61:4
f Ge 2:8
g Jes 35:1
Jes 41:18
h Jer 33:10, 11
i Eks 19:6
De 7:6
j Jes 2:3
Mi 4:2
k Spr 6:23
l Jes 46:13
m Jes 12:2
Jes 56:1
n 1Sa 2:10
Jes 2:4
o Jes 60:9
p Jes 45:17

Tweede kol.

- a Ps 102:25-27
Mt 24:35
b Jer 31:33
c Jes 50:9
d Jes 45:17
Lu 1:50
e Lu 1:51
f Ps 87:4
Ps 89:10
Jes 30:7
g Eks 15:4
Ne 9:10, 11
Ps 106:22
Ese 29:3
h Eks 14:21, 22
i Ps 106:9
j Jer 31:11
Sag 10:10
k Jes 35:10
l Jes 61:7

en my regverdigheid sal nooit verdwyn nie.^a

- 7** Luister na my, julle wat regverdigheid ken,
die volk wat my wet* in hulle hart het.^b
Moenie bang wees wanneer blote mense julle uittart nie,
en moenie vrees wanneer hulle julle beledig nie.
- 8** Want 'n mot sal hulle opvreet asof hulle 'n kleed is.
Die kleremot* sal hulle verslind asof hulle wol is.^c
Maar my regverdigheid sal vir ewig bestaan,
en my redding tot in alle geslagte.^d
- 9** Mag Jehovah optree!
Mag hy optree
en wys hoe magtig hy is!^e
Mag hy optree soos in die verlede, soos in vorige geslagte.
Was dit nie u wat Rahab^f in stukke gebreek het nie,
wat die seemonster deurboor het nie?^g
- 10** Is dit nie u wat die see, die waters van die groot diepte, laat opdroog het nie?^h
U het die dieptes van die see in 'n pad verander waarop dié wat terugkoop is, kon deurtrek.ⁱ
- 11** Dié wat deur Jehovah losgekoop is, sal terugkeer.^j
Hulle sal met gejuig na Sion kom,^k
en hulle sal eindelose vreugde geniet.^{#f}
Hulle sal vol blydskap en vreugde wees,
- 51:7 *Of "onderrigting". 51:8 *Of moontlik "Die wurm". 51:9 *Lett. "Word wakker! Word wakker, beklee u met mag, o arm van Jehovah!" #Sien Woordelys. 51:11 *Of "en eindelose vreugde sal hulle kroon wees".

- en hartseer en swaarkry sal verdwyn.^a
- 12** "Ek is die Een wat julle vertrous.^b
Hoekom sal jy bang wees vir 'n blote mens wat sal doodgaan,^c
vir 'n mens wat soos groen gras vergaan?
- 13** Hoekom vergeet jy Jehovah, jou Maker,^d
die Een wat die hemel uitgespan^e en die fondament van die aarde gelê het?
Jy was die hele dag lank bang vir die woede van die onderdrukker, asof hy in staat was om jou te vernietig.
Waar is die woede van die onderdrukker nou?
- 14** Die een wat in kettings vooroorgebuig is, sal binnekort bevry word.^f
Hy sal nie sterf of in die graf afgaan nie,
en hy sal nie honger ly nie.
- 15** Maar ek is Jehovah, jou God,
wat die see en sy golwe onstuimig maak^g
– Jehovah van die leërmagte is my naam.^h
- 16** Ek sal vir jou sê wat om te sê,
en ek sal jou in die skaduwee van my hand beskerm,ⁱ
sodat ek die hemel kan vestig en die fondament van die aarde kan lê^j
en vir Sion kan sê: 'Jy is my volk.'^k
- 17** Word wakker, word wakker, staan op, o Jerusalem,^l
jy wat die beker van woede uit Jehovah se hand gedrink het.
Jy het die beker gedrink.
Jy het die beker wat jou laat slinger, leeggedrink.^m

HFST. 51

a Jes 25:8
Jes 65:18, 19b Jes 49:13
Jes 66:13c Ps 118:6
Da 3:16, 17
Mt 10:28

d Jes 44:2

e Jes 40:22

f Esr 1:2, 3
Jes 48:20
Jes 52:2g Jer 31:35, 36
Jon 1:4

h Jes 47:4

i De 33:27
Ps 91:1j Jes 65:17
Jes 66:8, 22k Jes 60:14
Jer 31:33
Sag 8:8l Jes 52:1
Jes 60:1

m Jer 25:15

Tweede kol.

a Ese 14:21

b Klq 1:17

c Klq 2:11

d Jes 51:17

e Jes 54:9
Jes 62:8

f Jes 49:25

HFST. 52

g Hag 2:4

h Jes 51:17

i Jes 61:3

- 18** Nie een van al die seuns aan wie sy geboorte gegee het, is daar om haar te lei nie, en nie een van al die seuns wat sy grootgemaak het, het haar aan die hand gevat nie.
- 19** Hierdie twee dinge het oor jou gekom:
Vernietiging en verwoesting, hongersnood en die swaard!^a
Wie sal met jou simpatiseer? Wie sal jou vertrous?^b
- 20** Jou seuns het flou geword.^c
Hulle lê op elke straathoek, soos wilde skape wat in 'n net gevang is.
Hulle is vol van die woede van Jehovah, die straf van jou God."
- 21** Luister dus asseblief hierna, o vrou wat swaarkry en dronk is, alhoewel jy nie wyn gedrink het nie.
- 22** Dit is wat jou Heer sê, Jehovah, jou God wat sy volk verdedig:
"Ek sal die beker wat jou laat slinger, uit jou hand neem,^d
die beker van my woede.
Jy sal dit nooit weer drink nie."^e
- 23** Ek sal dit sit in die hand van dié wat die lewe vir jou moeilik gemaak het,^f
dié wat vir jou gesê het: 'Buig, sodat ons oor jou kan loop!'
Jy het jou rug soos die grond gemaak,
soos 'n straat waarop hulle kan loop."
- 52** Word wakker, word wakker! Beklee jou met krag,^g o Sion!^h
Trek jou pragtige klere aan,ⁱ o Jerusalem, die heilige stad!

Want mense wat nie besny is nie en wat onrein is, sal nie meer by jou ingaan nie.^a

- 2 Staan op, skud die stof van jou af en gaan sit, o Jerusalem.

Maak die toue om jou nek los, o gevange dogter van Sion.^b

- 3 Want dit is wat Jehovah sê: "Julle is vir niks verkoop nie,^c

en sonder geld sal julle teruggekoop word."^d

- 4 Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Eers het my volk na Egipte gegaan om daar as uitlanders te woon.^e

Toe het Assirië hulle sonder rede onderdruk."

- 5 "Wat moet ek nou doen?" sê Jehovah.

"Want my volk is wegge- neem, sonder dat iets vir hulle betaal is.

Dié wat oor hulle heers, hou aan spog oor hulle oorwinning,"^f sê Jehovah.

"En daar word heeltyd, die hele dag lank, op 'n disrespekvolle manier van my naam gepraat."^g

- 6 Daarom sal my volk my naam ken.^h

Daarom sal hulle in daardie dag weet dat dit ek is wat praat.

Kyk, dit is ek!"

- 7 Hoe lieflik op die berge is die voete van die een wat goeie nuus bring,ⁱ

wat vrede verkondig,^j wat goeie nuus van iets beters bring,

wat redding verkondig, wat vir Sion sê: "Jou God het Koning geword!"^k

HFST. 52

a Jes 35:8
Jes 60:21
Op 21:27

b Jes 51:14
Jes 61:1

c Jes 50:1

d Jes 45:13

e Ge 46:5-7

f Ps 137:3
Jer 50:17

g Ps 74:10
Ro 2:24

h Ese 20:44

i Jes 40:9
Na 1:15
Han 8:4

Ro 10:15
Ef 6:14, 15

j Lu 2:14
Han 10:36
Ef 2:17

k Ps 93:1
Jes 33:22
Mt 4:7
Mt 24:14
Op 11:15, 17

Tweede kol.

a Jes 61:4

b Jes 66:13

c Jes 44:23

d Jes 51:9

e Ps 22:27
Jes 49:6

f Jes 48:20
Jer 50:8
Jer 51:6

Sag 2:6

g Le 5:2
Ese 44:23

h 2Kor 6:17
Op 18:4

i Le 10:3
Nu 3:6, 8

Esr 1:7
Esr 8:30

j Eks 13:21
1Kr 14:15

k Jes 58:8

l Jes 42:1
Jes 61:1
Flp 2:5-7

m Ps 2:6
Ps 110:1
Jes 9:6

Mt 28:18

n Ps 2:2

o Ps 2:10
Ps 72:11

- 8 Luister! Jou wagte roep uit. Hulle roep saam van vreugde uit, want hulle sal duidelik sien wanneer Jehovah Sion laat terugkeer.

- 9 Wees vrolik, roep saam van vreugde uit, o verwoeste plekke van Jerusalem,^a want Jehovah het sy volk vertrous.^b Hy het Jerusalem teruggekoop.^c

- 10 Jehovah het sy heilige mag* aan al die nasies geopenbaar.^d Almal op die aarde sal die reddingsdade^e van ons God sien.^e

- 11 Vertrek, vertrek, gaan daar uit,^f moet aan niks raak wat onrein is nie!^g Gaan uit haar uit,^h bly rein, julle wat die voorwerpe van Jehovah dra.ⁱ

- 12 Want julle sal nie in paniek uitgaan nie, en julle sal ook nie hoef te vlug nie, want Jehovah sal voor julle uit gaan,^j en die God van Israel sal jul- die van agter af beskerm.^k

- 13 Kyk! My kneg^l sal met insig optree. Hy sal hoog verhef word, hy sal verhoog en grootliks geëer word.^m

- 14 Net soos daar baie was wat verbaas na hom gestaar het – omdat sy voorkoms meer vermink was as dié van enige ander mens, en sy indrukwekkende vorm meer as dié van mense –

- 15 net so sal hy baie nasies skok.ⁿ Konings sal stom wees voor hom,^o

52:10 *Lett. "arm". ^eOf "die oorwinning".

want hulle sal dinge sien
waarvan hulle nie vertel
is nie
en aandag skenk aan dinge
waarvan hulle nie gehoor
het nie.^a

- 53** Wie het geloof gestel in
wat ons gesê* het?^b
En aan wie is die mag[#] van
Jehovah^c geopenbaar?^d
- 2** Hy sal soos 'n takkie^e voor
hom* opkom, soos 'n wor-
tel in dorre grond.
Hy het nie 'n indrukwekken-
de vorm of enige prag nie.^f
En wanneer ons hom sien,
trek sy voorkoms ons nie
tot hom aan nie.
- 3** Mense het op hom neerge-
sien en hom vermy.^g
Hy was 'n man wat pyn sou
leer ken* en wat met siek-
te bekend was.
Dit was asof ons sy gesig nie
kon sien nie.[#]
Daar is op hom neergesien,
en ons het hom as onbe-
langrik beskou.^h
- 4** Ja, hy het ons siektes
gedra,ⁱ
en hy het ons pyn op hom
geneem.^j
Maar ons het hom beskou as
iemand wat met 'n plaag
getref is, wat deur God
geslaan is en verdruk is.
- 5** Maar hy is vir ons oortre-
ding^k deurboor.^l
Weens ons sondes het hy
verskriklik gely.^m
Hy is gestraf sodat ons
vrede kon hê,ⁿ
en weens sy wonde is ons
genees.^o

53:1 *Of moontlik "gehoor". #Lett. "arm". 53:2 *"Hom" kan na 'n waarne-
mer oor die algemeen of na God ver-
wys. 53:3 *Of "wat pyn verstaan het".
#Of moontlik "Hy was soos iemand van
wie mense hulle gesigte weggedraai
het".

HFST. 52
a Ro 15:20, 21

HFST. 53
b Ro 10:16
c Jes 51:9
d Jes 40:5
Joh 12:37, 38
e Jes 11:1
Sag 6:12
f Jes 52:14
Joh 1:10
Flp 2:7
g Ps 22:7
Mt 26:67, 68
Joh 6:66
1Pe 2:4
h Sag 11:13
Joh 18:39, 40
Han 3:13, 14
Han 4:11
i Mt 8:14-17
j Le 16:21, 22
1Pe 2:24
1Jo 2:1, 2
k Da 9:24
Ro 4:25
l Sag 12:10
Joh 19:34
m Mt 20:28
Ro 5:6, 19
n Kol 1:19, 20
o 1Pe 2:24

Tweede kol.

a 1Pe 2:25
b 1Pe 3:18
c Ps 22:12
Ps 69:4
d 1Pe 2:23
e Joh 1:29
1Kor 5:7
f Mt 27:12-14
Han 8:32, 33
g Da 9:26
Mt 27:50
h Sag 13:7
Joh 11:49, 50
Ro 5:6
Heb 9:26
i Mt 27:38
j Mt 27:57-60
Mr 15:46
Joh 19:41
k 1Pe 2:22
l Le 16:11
2Kor 5:21
Heb 7:27
m Jes 9:7
1Ti 6:16
n Kol 1:19, 20

- 6** Soos skape het ons almal
rondgedwaal.^a
Elkeen het sy eie pad
gevolg.
En Jehovah het ons almal
se sonde op hom laat
neerkom.^b
- 7** Hy was onderdruk^c en het
toegelaat dat lyding oor
hom kom,^d
maar hy het nie sy mond
oopgemaak nie.
Soos 'n skaap is hy gebring
om geslag te word,^e
soos 'n ooi wat nie 'n geluid
maak voor die skeerders
nie,
en hy het nie sy mond oop-
gemaak nie.^f
- 8** Weens 'n onregverdige von-
nis* is hy weggeneem.
En wie sal aandag skenk aan
die besonderhede van sy
geslag?[#]
Want hy is uit die land van
die lewendes afgesny.^g
Weens die oortreding van
my volk is hy geslaan.^h
- 9** Hy het 'n graf tussen die
godeloses gekry,ⁱ
en toe hy gesterf het, is hy
by die rykes* begrawe,^j
hoewel hy niks verkeers
gedoen[#] het nie
en nooit iets bedriegliks
gesê het nie.^k
- 10** Maar dit was Jehovah se wil
dat hy moes ly, en hy het
hom siek laat word.
As u sy lewe as 'n skuldoffer
aanbied,^l
sal hy sy nageslag* sien en
sal hy sy lewe verleng,^m
en deur hom sal Jehovah se
wil uitgevoer word.ⁿ

53:8 *Lett. "onderdrukking en oor-
deel". #Of "herkoms; lewenswyse".
#Of "doodgemaak". 53:9 *Lett. "'n
ryk man". #Of "geen geweldaad ge-
pleeg". 53:10 *Lett. "saad".

11 Weens sy bitter lyding sal hy tevrede wees met wat hy sal sien.

Deur middel van sy kennis sal die regverdige, my kneg,^a

baie mense help om 'n regverdige posisie te verkry,^b en hy sal hulle sondes dra.^c

12 Daarom sal ek hom 'n deel onder die menigte gee, en saam met die magtiges sal hy die buit verdeel, omdat hy sy lewe gegee het^{*d}

en as 'n oortreder beskou is.^e

Hy het die sonde van baie mense gedra,^f en hy het vir die oortreders tussenbeide getree.^g

54 "Roep vreugdevol uit, onvrugbare vrou wat nie geboorte gegee het nie!^h

Wees vrolik en roep van vreugde uit,ⁱ jy wat nooit geboortepyne gehad het nie,^j

want die kinders* van die verlate vrou is baie meer as die kinders van die vrou wat 'n man[#] het,^k sê Jehovah.

2 "Maak die plek van jou tent groter.^l

Maak die tentdoeke van jou pragtige woning groter. Moenie terughou nie, maak jou tenttoue langer en slaan jou tentpenne dieper in.^m

3 Want jy sal na regs en na links uitbrei.

Jou nageslag sal nasies in besit neem,

HFST. 53

- a Jes 42:1
b Ro 5:18, 19
c 1Pe 2:24
d Ps 22:14
Mt 26:27, 28
Heb 2:14
e Mr 15:27
Lu 22:37
Lu 23:32, 33
f Mt 20:28
ITi 2:5, 6
Tit 2:13, 14
Heb 9:28
g Ro 8:34
Heb 7:25
Heb 9:26
1Jo 2:1, 2

HFST. 54

- h Jes 62:4
i Jes 44:23
Jes 49:13
j Jes 66:7, 8
k Ga 4:26, 27
l Jes 49:20
m Jes 33:20

Tweede kol.

- a Jes 49:8
Ese 36:35
b Jes 41:10
c Jes 61:7
d Jes 44:2
e Ese 16:8
Ho 2:16
f Jes 44:6
g Sag 14:9
Ro 3:29
h Jes 49:14
Jes 62:4
i De 30:1, 3
Ps 30:5
Ps 106:47
Jes 27:12
Jer 29:10
j Jes 47:6
Ese 39:23
k Jes 55:3
l Jes 48:17
Jes 49:26
m Ge 7:23
n Ge 8:21
o Jer 31:35, 36
Ese 39:29

en hulle sal die verwoeste stede bewoon.^a

4 Moenie bang wees nie,^b want skande sal nie oor jou kom nie,^c

en moenie verneder voel nie, want jy sal nie teleurgestel word nie.

Want jy sal die skande van jou jeug vergeet, en jy sal nie meer dink aan die oener van jou weduweenskap nie.^d

5 "Want jou Groot Maker^d is soos jou man,^{#e}

Jehovah van die leërmagte is sy naam,

en die Heilige van Israel is jou Terugkoper.^f

Hy sal die God van die hele aarde genoem word.^g

6 Want Jehovah het jou geroep asof jy 'n verlate en bedroefde vrou is,^h

soos 'n vrou wat jonk getrou het en toe verwerp is," sê jou God.

7 "Vir 'n kort oomblikkie het ek jou verlaat,

maar met groot genade sal ek jou terugbring.ⁱ

8 In groot woede het ek my gesig vir 'n oomblik van jou af weggedraai,^j

maar met ewige lojale liefde sal ek genade aan jou betoon,^k sê jou Terugkoper,^l Jehovah.

9 "Dit is vir my soos die dae van Noag.^m

Net soos ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sal bedek nie,ⁿ

so sweer ek dat ek nie weer woedend vir jou sal word of jou sal straf nie.^o

10 Want al sou die berge verwyder word en die heuwels geskud word,

53:12 *Of "uitgestort het in die dood".
54:1 *Lett. "seuns". 54:1, 5 #Of "meester".

sal my lojale liefde nie van jou verwyder word nie^a en sal my vredesverbond nie geskud word nie.”^b sê Jehovah, die Een wat genade aan jou betoon.^c

- 11 “O vrou wat swaarkry,^d wat deur storms getref is en nie vertrous is nie,^e ek lê jou stene met harde messelklei, en jou fondament met saffiere.^f
- 12 Ek sal die borand van jou mure van robyne maak, jou poorte van skitterende stene, en al jou grense van edelstene.
- 13 En al jou kinders* sal deur Jehovah geleer word,^g en jou kinders* sal groot vrede geniet.^h
- 14 Jy sal stewig gevestig wees in regverdigheid.ⁱ Jy sal ver wees van onderdrukking,^j jy sal niks vrees nie, en niks sal vir jou angis veroorsaak nie, want dit sal nie naby jou kom nie.^k
- 15 As iemand jou aanval, sal dit nie op my bevel wees nie. Enigiemand wat jou aanval, sal self val.”^l
- 16 “Kyk! Ek het die ambagsman geskep, wat die gloeiende kole aanblaas en ’n wapen maak. Ek het ook die verwoester geskep om te verwoes.”^m
- 17 Geen wapen wat gemaak word om jou aan te val, sal enige sukses hê nie,ⁿ en jy sal elke tong veroordeel wat jou probeer veroordeel.

54:13 * Lett. “seuns”.

HFST. 54

- a Jes 51:6
b Jes 55:3
c Jes 41:1
d Jes 52:2
e Klg 1:2, 17
f Op 21:19
g Jer 31:34
Joh 6:45
h Ps 119:165
Jes 66:12
Jer 33:6
i Jes 1:26
Jes 60:21
j Jes 52:1
k Jer 23:4
Sef 3:13
l Ese 38:16, 22
Sag 2:8
Sag 12:3
m Jes 10:5
n Ps 2:2, 4
Jes 41:12

Tweede kol.

a Jer 23:6

HFST. 55

- b Ps 42:2
Ps 63:1
Am 8:11
Mt 5:6
c Jes 41:17
d Jl 3:18
e Op 21:6
Op 22:17
f Jes 25:6
g Ps 36:7, 8
Ps 63:5
h Jak 4:8
i Jes 61:8
j 2Sa 7:8, 16
2Sa 23:5
Ps 89:28, 29
Jer 33:25, 26
Han 13:34
k Op 1:5
Op 3:14
l Da 9:25
Mt 23:10
m Ge 49:10
n Sag 8:23
o Jes 49:3
Jes 60:9
p 1Kr 28:9
q Ps 145:18
Jak 4:8
r Ese 18:21
Han 3:19

Dit is die erfenis van die knegte van Jehovah, en hulle regverdigheid kom van my,” sê Jehovah.^a

55 Kom, almal wat dors is!^b Kom na die water.^c

Julle wat nie geld het nie, kom, koop en eet!

Ja, kom, koop wyn en melk^d sonder geld. Dit kos niks.^e

- 2 Hoekom bly julle geld betaal vir wat nie brood is nie, en hoekom spandeer julle julle inkomste* op iets wat nie versadig nie?

Luister aandagtig na my, en eet wat goed is,^f

en julle sal geniet wat werklik voedsaam is.^g

- 3 Skenk aandag en kom na my toe.^h

Luister, en julle sal bly lewe, en ek sal ’n ewige verbond met julle maak,ⁱ

in ooreenstemming met die lojale liefde wat ek aan Dawid belowe het. Hierdie belofte is betroubaar.^j

- 4 Kyk! Ek het hom ’n getuie^k vir die nasies gemaak, ’n leier^l en ’n bevelvoerder^m vir die nasies.

- 5 Jy sal ’n nasie roep wat jy nie ken nie,

en mense van ’n nasie wat jou nie geken het nie, sal na jou toe hardloop ter wille van Jehovah jou God,ⁿ die Heilige van Israel,

omdat hy jou sal verheerlik.^o

- 6 Soek Jehovah terwyl hy gevind kan word.^p Roep hom aan terwyl hy naby is.^q

- 7 Laat die goddelose sy weg verlaat,^r

55:2 *Of “geld waarvoor julle hard gewerk het”.

en die slegte mens sy gedagtes.

Laat hom na Jehovah terugkeer, wat genade aan hom sal betoon,^a

na ons God, want hy sal ryklik* vergewe.^b

- 8 “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie,^c en julle weë is nie my weë nie,” sê Jehovah.
- 9 “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë, en my gedagtes as julle gedagtes.^d
- 10 Want net soos die reën en die sneeu uit die hemel val en nie daarheen terugkeer voordat dit die aarde nat-gemaak het nie, sodat plante groei en vrug dra en sodat daar saad is om te saai en brood is om te eet,
- 11 so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan.^e Dit sal nie sonder resultate na my toe terugkeer nie,^f maar dit sal beslis doen wat ek wil hê,^{*g} en dit sal beslis die doel bereik waarvoor ek dit gestuur het.
- 12 Want julle sal met blydskap uitgaan,^h en in vrede sal julle teruggebring word.ⁱ Die berge en die heuwels sal vrolik wees voor julle met uitroep van vreugde,^j en al die bome van die veld sal hande klap.^k
- 13 In die plek van doringbosse sal jenuerbome groei.^l In die plek van brandnetels sal mirtebome groei.

55:7 *Of “vryelik”. 55:11 *Of “my wil uitvoer”.

HFST. 55

a Eks 34:6
2Kr 33:12, 13

b Nu 14:18
Ps 103:12, 13
Jes 43:25

c Ps 40:5

d Ps 103:11

e Nu 23:19
Jes 46:11

f Jos 23:14
Jes 45:23

g Ps 135:6
Jes 46:10

h Jes 35:10

i Jes 54:13
Jes 66:12

j Jes 42:11

k Jes 44:23

l Jes 41:19
Jes 60:13

Tweede kol.

a Jer 33:9

HFST. 56

b Mi 6:8

c Jes 46:13
Jes 51:5

d Jes 58:13, 14

e Jes 60:10
Sag 8:23

f Mal 1:11

En dit sal vir Jehovah roem bring,^{*a} 'n ewige teken wat nooit sal verdwyn nie.”

56 Dit is wat Jehovah sê: “Beoefen geregtigheid^b en doen wat reg is.

Want my redding kom binnekort en my regverdigheid sal geopenbaar word.^c

- 2 Gelukkig is die mens wat dit doen, en die mensekind wat daarby bly, wat die Sabbat hou en dit nie onheilig nie^d en wat niks doen wat sleg is nie.

- 3 Die uitlander wat Jehovah aanbid,^e moenie sê: ‘Jehovah sal my ongetwyfeld van sy volk afskei’ nie. En die eunug moenie sê: ‘Kyk! Ek is ’n droë boom’ nie.”

4 Want dit is wat Jehovah sê vir die eunugs wat sy* sabbatte hou en wat kies om te doen wat hy# wil hê en wat sy* verbond hou:

- 5 “Ek sal aan hulle ’n monument en ’n naam in my huis en binne my mure gee, iets beters as seuns en dogters. ’n Ewige naam sal ek aan hulle gee, een wat nie sal verdwyn nie.
- 6 En die uitlanders wat na Jehovah toe kom om hom te dien, om die naam van Jehovah lief te hê^f en om sy knegte te wees,

55:13 *Of “’n naam maak”. 56:4 *Lett. “my”. #Lett. “ek”.

almal wat die Sabbat hou en dit nie ontheilig nie en wat my verbond hou,

- 7 sal ek ook na my heilige berg bring,^a en ek sal hulle in my huis van gebed vreugdevol maak.

Hulle heelbrandoffers en hulle offerandes sal op my altaar aanvaar word.

Want my huis sal 'n huis van gebed vir al die volke genoem word.”^b

- 8 Die Soewereine Heer Jehovah, wat dié van Israel wat verstrooi is, bymekeerbring,^c sê:

“Ek sal nog ander by hom bymekeerbring behalwe dié wat reeds bymekeerbring is.”^d

- 9 Kom eet, alle wilde diere van die veld en alle wilde diere in die woud.^e

- 10 Sy wagte is blind.^f Nie een van hulle het aandag geskenk nie.^g

Hulle is almal stom honde. Hulle kan nie blaf nie.^h Hulle hyg en lê op die grond. Hulle hou daarvan om te slaap.

- 11 Hulle is vraatsugtige honde.* Hulle kry nooit genoeg nie. Hulle is herders wat geen verstand het nie.ⁱ Hulle het almal hulle eie pad gevolg.

Elkeen van hulle probeer homself op 'n oneerlike manier bevoordeel en sê:

- 12 “Kom! Laat ek wyn gaan haal, en laat ons drink totdat ons dronk is.^j En môre sal soos vandag wees, net baie beter!”

56:11 *Of “honde met 'n sterk siel”.

HFST. 56

- a Jes 2:3
Mi 4:2
Sag 8:3
b 1Kn 8:29, 43
Mt 21:13
Mr 11:17
Lu 19:46
c De 30:3
Jes 27:12
Ho 1:11
d Jes 49:22
Jes 60:4
e Jer 12:9
f Jes 6:10
Jes 29:10
g Jer 6:13, 14
Ese 13:16
h Ese 33:6
i Mi 3:6
j Jes 5:22
Jes 28:7
Ho 4:11

Tweede kol.

HFST. 57

- a Mi 7:2
b Jes 1:4
Jes 30:9
c Jes 1:29
d De 12:2
1Kn 14:22, 23
e 2Kn 16:1, 3
Jer 7:31
f Jer 3:9
g Jer 7:18
h Jer 2:20
Ese 16:16
Ese 23:17
i Ese 20:28

57 Die regverdige het gesterf, maar niemand steur hulle daaraan nie. Lojale mense sterf,^a en niemand beseft dat die regverdige wegeneem is as gevolg van* die rampspoed nie.

- 2 Hy vind vrede. Almal wat bly by wat reg is, vind rus in die graf.*

- 3 “Maar wat julle betref, kom nader, julle kinders van 'n towenares, kinders van 'n egbreker en 'n prostituut:

- 4 Met wie spot julle? Oor wie het julle so baie te sê en vir wie steek julle tong uit?

Is julle nie die kinders van oortreding, die kinders van bedrog nie?^b

- 5 Is julle nie dié wat brand van begeerte onder groot bome,^c

onder elke groen boom,^d dié wat die kinders slag in die valleie*^e en onder die skeure van die kranse nie?

- 6 Jy het die gladde klippe van die valleie* as jou deel gekies.^f

Ja, hulle is jou deel.

Jy gooi vir hulle drankoffers uit en gee vir hulle offergawes.^g

Moet ek tevrede wees met hierdie dinge?

- 7 Jy het jou bed op 'n hoë berg gereedgemaak.^h

En jy het daarheen gegaan om offerandes te bring.ⁱ

57:1 *Of moontlik “uit”. 57:2 *Lett. “op hulle beddens”. 57:5 *Of “wadi’s”. Sien Woordelys. 57:6 *Of “wadi”. Sien Woordelys.

8 Agter die deur en die deur-
pos het jy jou gedenkteken
gesit.

Jy het my verlaat en jou
klere uitgetrek.

Jy het opgeklim en baie plek
op jou bed gemaak.

En jy het 'n verbond met
hulle gemaak.

Jy was lief daarvoor om 'n
bed met hulle te deel,^a

en jy het na die manlike
orgaan gestaar.*

9 Jy het na Meleg* afgegaan
met olie

en met baie parfuim.

Jy het jou boodskappers
ver weg gestuur

en so laag soos die Graf[#]
gedaal.

10 Jy het jou ingespan om jou
baie weë te volg,
maar jy het nie gesê: 'Dit is
nuttelos!' nie.

Jy het nuwe krag gekry.
Daarom hou jy nie op nie.*

11 Vir wie was jy bang en wie
het jy gevrees

sodat jy begin lieg het?^b

Jy het nie aan my gedink
nie.^c

Jy het jou aan niks gesteur
nie.^d

Het ek nie stilgebly en my
op 'n afstand gehou* nie?^e

Daarom het jy my nie
gevrees nie.

12 Ek sal jou 'regverdigheid'^f
en jou dade^g bekend maak,
en hulle sal jou nie help nie.^h

13 Wanneer jy om hulp roep,
sal jou klomp afgode jou nie
red nie.ⁱ

Die wind sal hulle almal
wegneem,

57:8 *Verwys moontlik na afgode-
diens. **57:9** *Of moontlik "die kon-
ing". **Of "Sjeool".** Sien Woordelys.
57:10 *Lett. "word jy nie moeg nie".
57:11 *Of "sake verborge gehou".

HFST. 57

a Ese 16:25, 33
Ese 23:18

b Jes 30:9, 10
Jes 59:3

c Jes 1:3
Jer 2:32
Jer 9:3

d Jes 42:24, 25

e Ps 50:21

f Jes 58:2

g Jes 66:3

h Jer 7:4
Mi 3:4

i Rig 10:14
Jes 42:17

Tweede kol.

a Jes 56:6, 7
Jes 66:20
Ese 20:40
Jl 3:17

b Jes 35:8
Jes 40:3
Jes 62:10

c Ge 21:33
Ps 90:2
Jes 40:28
ITi 1:17

d Eks 15:11
Lu 1:46, 49

e 1Kn 8:27

f Ps 34:18
Ps 147:3
Jes 61:1
Jes 66:2

g Ps 103:9
Mi 7:18

h Job 34:14, 15

i Jer 6:13
Jer 8:10

j Jer 3:14

k Jer 33:6
Ho 14:4

l Jes 49:10

m Jes 61:2
Klg 1:4

n Jes 12:1

'n briesie sal hulle wegwaai,
maar die een wat by my
beskerming soek, sal die
land erf

en my heilige berg^a in besit
neem.

14 Daar sal gesê word: 'Bou 'n
pad, bou 'n pad! Berei die
weg voor!^b

Verwyder elke struikelblok
uit die pad van my volk."^c

15 Want dit is wat die Een sê
wat hoog en verhewe is,
wat vir ewig lewe^c en wie se
naam heilig is:^d

"Ek woon in die hoë en
heilige plek,^e

maar ook by dié wat gebroke
en nederig van gees is,
om die nederiges

en die gebrokenes* nuwe
krag te gee.^f

16 Want ek sal hulle nie vir
ewig teëstaan
of vir altyd kwaad bly nie,^g
anders sal die mens se gees
swak word weens my,^h
ja, die lewende wesens wat
ek gemaak het.

17 Ek was kwaad weens sy
sondige najaging van
oneerlike wins.ⁱ

Daarom het ek hom geslaan.
Ek het my gesig wegge-
draai, en ek was woedend.

Maar hy het ontrou gebly^j
en die weg van sy hart
gevolg.

18 Ek het sy weë gesien,
maar ek sal hom genees^k
en hom lei^l

en hom, sowel as dié wat
saam met hom treur,^m
vertrous."ⁿ

19 "Ek skep woorde van lof.*

Die een wat ver is en die een
wat naby is, sal blywende

57:15 *Of "die hart van die gebroke-
nes". **57:19** *Lett. "die vrug van die
lippe".

- vrede ontvang,”^a sê Jehovah,
“en ek sal hom genees.”
- 20** “Maar die goddeloses is soos die onstuimige see, wat nie tot rus kan kom nie, waarvan die waters seegras en modder bly opstoot.
- 21** Daar is geen vrede vir die goddeloses nie,”^b sê my God.
- 58** “Roep hard uit, moenie terughou nie!
Verhef jou stem soos 'n horing.
Maak aan my volk bekend hoe opstandig hulle is,^c vertel vir die huis van Jakob wat hulle sondes is.
- 2** Hulle soek my leiding dag ná dag, en hulle sê dat hulle graag my weë wil leer ken, asof hulle 'n nasie is wat regverdigheid beoefen het en nie die geregtigheid van hulle God verlaat het nie.^d Hulle vra my om regverdig te oordeel, asof hulle nader aan God wil kom:^e
- 3** ‘Hoekom sien u nie wanneer ons vas nie?’^f
En hoekom let u nie op wanneer ons ons verneder nie?’^g
Want op die dag dat julle vas, jaag julle julle eie belange na en onderdruk julle julle werkers.^h
- 4** Julle vaste eindig in 'n stryery en 'n bakleiery, en julle slaan met die vuus van goddeloosheid. Julle kan nie vas soos julle vandag vas en verwag dat julle stem in die hemel gehoor sal word nie.

HFST. 57

a Jes 48:18
Ef 2:17b Spr 13:9
Jes 3:11

HFST. 58

c Jes 1:2
Jes 31:6
Jes 59:13d Jes 29:13
Ese 33:32

e Jes 1:14, 15

f Mal 3:14

g Le 16:29

h Jer 34:15, 16
Mi 3:2-4

Tweede kol.

a Jer 34:8, 9

b Spr 28:27

c Ps 41:1
Ps 112:9
Spr 19:17
Spr 22:9d Ese 18:7, 8
Jak 2:15, 16
1Jo 3:17

e Spr 4:18

f Eks 14:19
Jes 52:12g Jes 32:6
Jes 59:3

- 5** Moet die vas wat ek verkies, só wees:

Moet dit 'n dag wees waarop iemand hom verneder en sy kop soos 'n grashalm buig

en sy bed op saklinne en as maak?

Noem jy dit 'n vas en 'n dag wat vir Jehovah aanvaarbaar is?

- 6** Nee, dit is die vas wat ek verkies:

Die boeie van goddeloosheid moet verwyder word, die bande van die juk moet losgemaak word,^a die onderdrukte moet vrygelaat word^b en elke juk moet in twee gebreek word.

- 7** Jy moet jou kos deel met dié wat honger is.^c

Jy moet die armes en die haweloses in jou huis inneem.

Wanneer jy iemand sonder klere sien, moet jy vir hom klere gee.^d

En jy moenie jou rug draai op jou broers nie.

- 8** Dan sal jou lig deurbreek soos die dagbreek,^e en jou genesing sal gou kom. Jou regverdigheid sal voor jou uit gaan, en die heerlijkheid van Jehovah sal jou van agter af beskerm.^f

- 9** Dan sal jy roep, en Jehovah sal antwoord.

Jy sal om hulp roep, en hy sal sê: ‘Hier is ek!’

As jy die juk van verdrukking verwyder en ophou om met jou vinger te wys* en sleg te praat van ander,^g

58:9 *Moontlik om te spot of valslik te beskuldig.

10 as jy vir dié wat honger is, gee wat jy self wil hê^a en voorsien in die behoeftes van dié wat swaarkry, dan sal jou lig in die donker-te skyn, en jou duisternis sal soos die middag wees.^b

11 Jehovah sal jou altyd lei en jou selfs in 'n dorre land versadig.^c

Hy sal jou nuwe krag gee, en jy sal word soos 'n tuin wat baie water kry,^d soos 'n fontein wat nooit opdroog nie.

12 Ter wille van jou sal ou ruïnes herbou word,^e en jy sal die fondament van vorige geslagte herstel.^f Jy sal die herbouer van afgebreekte mure genoem word,^g

die hersteller van paaie waarlangs mense kan woon.

13 As jy nie jou eie belange op die Sabbat najaag nie omdat dit my heilige dag is^h en jy die Sabbat 'n dag van groot vreugde noem, 'n heilige dag van Jehovah, 'n dag wat verheerlik moet word,ⁱ

en jy dit verheerlik eerder as om jou eie belange na te jaag en nuttelose dinge te sê,

14 dan sal jy groot vreugde in Jehovah vind,

en ek sal jou beheer gee* oor die hoë plekke van die aarde.^j

Ek sal jou die erfdeel van jou voorvader Jakob laat geniet,^{#k}

want dit is wat Jehovah gesê het.”

58:14 *Lett. “laat ry”. #Of “sal jou van die erfdeel . . . laat eet”.

HFST. 58
a De 15:7, 8

b Ps 37:5, 6

c Jes 49:10

d Jes 61:11
Jer 31:12

e Ne 2:5
Jer 31:38

f Jes 61:4

g Ne 6:1
Am 9:11, 14

h Ne 13:15
Jes 56:2
Jer 17:21

i De 5:12-14

j De 32:13

k Ps 105:10, 11
Jer 3:18

Tweede kol.

HFST. 59

a Nu 11:23
Jes 50:2

b Ps 116:1

c Jer 5:25

d De 31:16, 17
De 32:20
Jes 57:17
Ese 39:23
Mi 3:4

e Jes 1:15
Jer 2:34
Ese 7:23

f Jer 7:9, 10
Ese 13:8

g Jer 5:1
Ese 22:30
Mi 7:2

h Jes 30:12, 13

i Mi 2:1

j Job 8:13, 14

k Jes 57:12

l Jer 6:7
Mi 6:12

59 Kyk! Die hand van Jehovah is nie te kort om te red nie,^a en sy ore is nie toe sodat hy nie kan hoor nie.^b

2 Julle eie oortredings het julle van julle God geskei.^c Julle sondes het veroorsaak dat hy sy gesig van julle af wegdraai, en hy weier om na julle te luister.^d

3 Want julle hande is vol bloed,^e en julle vingers is vol oortreding. Julle lippe vertel leuens,^f en uit julle mond kom slegte dinge.

4 Niemand roep uit ter wille van regverdigheid nie,^g en niemand praat die waarheid wanneer hy hof toe gaan nie. Hulle vertrou op iets wat nie bestaan nie^h en praat oor waardelose dinge.

Hulle beplan verkeerde dinge, en daarom doen hulle wat sleg is.ⁱ

5 Hulle broei die eiers van 'n giftige slang uit, en hulle weef 'n spinnerak.^j Enigiemand wat hulle eiers eet, sal sterf, en uit die eier wat stukkend gedruk is, sal 'n adder kom.

6 Hulle kan nie hulle spinnerak as 'n kledingstuk gebruik nie, en hulle kan hulle nie bedek met wat hulle maak nie.^k Hulle doen skadelike dinge, en hulle hande is vol geweld.^l

7 Hulle voete hardloop na goddeloosheid,

59:4 *Of “op leegheid”.

- en hulle is vinnig om onskuldige mense dood te maak.^a
 Hulle gedagtes is skadelike gedagtes.
 Hulle veroorsaak verwoesting en laat mense ly.^b
- 8** Hulle ken nie die weg van vrede nie, en daar is geen geregtigheid in hulle spore nie.^c
 Hulle maak hulle paaie krom.
 Niemand wat hulle volg, sal vrede vind nie.^d
- 9** Daarom is geregtigheid ver van ons af en bereik regverdigheid ons nie.
 Ons bly hoop op lig, maar kyk! daar is duisternis, en op helder lig, maar ons pad bly donker.^e
- 10** Soos blindes loop ons voel-voel al langs die muur.
 Ons steek ons hande uit soos dié wat nie oë het nie.^f
 Ons struikel in die middel van die dag asof dit nag is.
 Onder die sterkes is ons net soos die dooies.
- 11** Ons almal grom aanhoudend soos bere, en soos duiwe bly ons droewig koer.
 Ons hoop op geregtigheid, maar dit is nie daar nie, op redding, maar dit is ver van ons af.
- 12** Want ons het dikwels teen u in opstand gekom.^g
 Elkeen van ons sondes getuig teen ons.^h
 Want ons besef hoe opstandig ons was, en ons is bewus van ons oortredings.ⁱ
- 13** Ons het oortree en was ontrou aan Jehovah.

HFST. 59

- a Jer 22:17
 Ese 9:9
 Mt 23:35
- b Ro 3:15-17
- c Jes 5:7
 Jes 59:15
 Jer 5:1
 Am 6:12
 Hab 1:4
- d Jer 8:15
- e Jes 5:30
- f De 28:15, 29
- g Jes 1:5
 Ese 5:5, 6
- h Jer 14:7
 Ho 5:5
- i Esr 9:13
 Ne 9:33
 Da 9:5

Tweede kol.

- a Jes 31:6
 Jes 32:6
 Jer 17:13
- b Jer 5:23
- c Ps 82:2
 Hab 1:4
- d Jes 5:22, 23
- e Jes 48:1
- f Mi 3:2
- g Ef 6:17
 1Te 5:8
- h De 32:35
 Ps 94:1
- i Job 34:11
 Ps 62:12
 Jer 17:10
- j Jes 1:24
 Klg 4:11
 Ese 5:13

- Ons het ons rug gedraai op ons God.
 Ons het van onderdrukking en opstand gepraat.^a
 Ons het in ons hart leuens uitgedink en dit versprei.^b
- 14** Daar is nie meer geregtigheid nie,^c en regverdigheid is ver van ons af.^d
 Niemand praat die waarheid* op die openbare plein nie, en daar is nie plek vir eerlikheid nie.
- 15** Die waarheid* het verdwyn,^e en enigiemand wat wegdraai van wat sleg is, word 'n slagoffer.
 Jehovah het dit gesien, en hy was ontevrede,^f want daar was geen geregtigheid nie.^f
- 16** Hy het gesien dat daar niemand was nie, en hy was verstom dat niemand tussenbeide getree het nie.
 Daarom het hy redding* gebring, en sy regverdigheid het hom beweeg om op te tree.
- 17** Toe het hy regverdigheid soos 'n pantser^g aange-trek,
 en hy het die helm van redding* op sy kop gesit.^g
 Hy het die klere van wraak aangetrek,^h en hy het ywer soos 'n mantel^a om hom gehang.
- 18** Hy sal hulle hulle verdiende loon gee:ⁱ
 woede vir sy teenstanders, straf vir sy vyande.^j

59:14 *Of "Niemand is eerlik". **59:15** *Of "Eerlikheid". ^gLett. "en dit was sleg in sy oë". **59:16, 17** *Of "oorwinning". **59:17** ^hn Beskermende kleedingstuk wat deur 'n vegter gedra is. ^aOf "moulose oorkleed".

En hy sal die eilande terug-
betaal vir wat hulle ge-
doen het.

- 19** Waar die son ondergaan,
sal hulle die naam van
Jehovah vrees,
en waar die son opkom, sal
hulle hom verheerlik,
want hy sal kom soos 'n
magtige rivier
wat deur die gees van Jeho-
vah aangedryf word.

- 20** “Die Terugkoper^a sal na
Sion kom,^b
na dié in Jakob wat ophou
om goddelose dinge te
doen,”^c sê Jehovah.

- 21** “Wat my betref,” sê Jeho-
vah, “dit is my verbond met hulle:^d My gees wat op jou is en die
woorde wat ek aan jou gegee het
om oor te dra, sal van nou af en
tot in alle ewigheid nie wegge-
neem word van jou, van jou kinders*
of van jou kleinkinders[#]
nie,” sê Jehovah.

- 60** “Staan op, o vrou,^e ver-
sprei lig, want jou lig
het gekom.

Die heerlikheid van Jehovah
skyn op jou.^f

- 2** Want kyk! duisternis sal
die aarde bedek,
en digte donkerte die
nasies.
Maar op jou sal Jehovah sy
lig laat skyn,
en op jou sal sy heerlikheid
gesien word.
- 3** Nasies sal na jou lig kom,^g
en konings^h na jou glansen-
de prag.^{*i}
- 4** Kyk rondom jou!
Hulle is almal bymekaarge-
bring. Hulle kom na jou
toe.
Van ver af bly jou seuns
kom,^j

59:21 *Lett. “saad”. [#]Lett. “van die
saad van jou saad”. **60:3** *Of “na die
glans van jou dagbreek”.

HFST. 59

a Jes 48:17

b Jes 62:11

c De 30:1-3
Ro 11:26

d Ro 11:27

HFST. 60

e Jes 51:17
Jes 52:1

f Jes 60:19, 20

g Jes 11:10

h Jes 49:23

i Op 21:23, 24

j Jes 49:17, 18
Jes 54:1

Tweede kol.

a Jes 49:21, 22

b Jer 33:9

c Jes 61:6
Hag 2:7, 8

d 1Kr 1:32, 33

e Mal 1:11

f Jes 42:11

g Ge 25:13

h Eks 29:39, 42
Jes 56:6, 7

i Hag 2:9

j Jes 51:5

k Jes 60:4
Jes 66:20

l Ps 149:4
Jes 52:1
Jes 55:5

m Esr 7:27
Ne 2:7, 8
Jes 49:23

en jou dogters word op
die heup gedra.^a

- 5** In daardie tyd sal jy dit sien
en beslis straal,^b
en jou hart sal vinnig klop
en oorloop van vreugde,
want die skatte van die see
sal na jou toe gebring
word.

Die rykdom van die nasies
sal na jou toe kom.^c

- 6** Groot troppe kamele sal
jou land bedek,
jong kameelbulle van
Mi'dian en Efa.^d
Almal wat uit Skeba kom,
sal goud en wierook dra.
Hulle sal Jehovah se lof
verkondig.^e
- 7** Al die kuddes van Kedar^f sal
na jou toe gebring word.
Die ramme van Ne'bajot^g
sal jou dien.

Hulle sal op my altaar ge-
offer word en aanvaar
word,^h
en ek sal my glorieryke huis
versier.ⁱ

- 8** Wie is dit wat aangevlieg
kom soos wolke,
soos duiwe na hulle duiwe-
hokke?
- 9** Op my sal die eilande hoop.^j
Die skepe van Tarsis is
heel voor*
om jou seuns van ver af
te bring,^k
saam met hulle silwer en
hulle goud,
vir die naam van Jehovah
jou God, vir die Heilige
van Israel,
want hy sal jou verheerlik.^{#i}
- 10** Uitlanders sal jou mure bou,
en hulle konings sal jou
dien,^m
want weens my woede het
ek jou geslaan,

60:9 *Of “Die skepe van Tarsis soos
vroeër”. [#]Of “pragtig maak”.

maar weens my goedheid sal ek genade aan jou betoon.^a

- 11** Jou poorte sal nooit gesluit word nie.^b

Dag en nag sal hulle oop bly, sodat die rykdom van die nasies na jou toe gebring kan word, en hulle konings sal die leiding neem.^c

- 12** Want elke nasie en elke koninkryk wat jou nie dien nie, sal verdwyn, en die nasies sal heeltemal verwoes word.^d

- 13** Die heerlikheid van die Li'banon sal na jou toe kom,^e die jenerwerboom, die es en die sipres,^f om die plek van my heiligdom te versier. Ek sal die plek vir my voete verheerlik.^g

- 14** Die seuns van jou onderdrukkers sal voor jou kom neerbuig.

Almal wat jou sonder respek behandel, moet by jou voete neerbuig.

En hulle sal jou die stad van Jehovah, Sion van die Heilige van Israel, moet noem.^h

- 15** Hoewel jy verlate en gehaat is en niemand deur jou trek nie,ⁱ

sal ek jou iets maak waarop mense vir ewig trots sal wees, 'n bron van vreugde tot in alle geslagte.^j

- 16** Jy sal die melk van nasies drink,^k en aan die bors van konings sal jy drink.^l

En jy sal vir seker weet dat ek, Jehovah, jou Redder is en dat die Magtige van Jakob jou Terugkoper is.^m

HFST. 60

a De 30:3
Ps 30:5
Jes 54:7
Jes 57:17, 18

b Op 21:25, 26

c Jes 60:3, 5

d Jes 41:11

e Jes 35:1, 2

f Jes 41:19
Jes 55:13

g Ps 132:7

h Jes 62:12

i 2Kr 36:20, 21
Jes 49:14
Jer 30:17
Klg 1:4

j Jes 35:10
Jes 61:7
Jer 33:10, 11

k Jes 61:6

l Jes 49:23

m Jes 49:26

Tweede kol.

a Jes 1:26
Jes 32:1

b Jes 2:4
Jes 11:9
Jes 54:14
Sag 9:8

c Jes 26:1

d Ps 36:9
Jes 60:1
Op 21:23
Op 22:5

e Sag 2:4, 5

f Ps 27:1
Ps 84:11

g Jes 25:8
Jes 30:19
Jes 35:10

h Jes 43:6, 7

i Jes 44:23

- 17** Ek sal goud in die plek van die koper bring, en ek sal silwer in die plek van die yster bring, en koper in die plek van die hout, en yster in die plek van die klippe. Ek sal vrede as jou opsieners aanstel, en regverdigheid as jou taakgewers.^a

- 18** Daar sal nie meer in jou land van geweld gehoor word nie of van vernietiging en verwoesting binne jou grense nie.^b En jy sal jou mure Redding^c noem, en jy sal jou poorte Lof noem.

- 19** Die son sal nie meer vir jou in die dag 'n lig wees nie, en die glinsterende maan sal nie meer vir jou lig gee nie, want Jehovah sal vir jou 'n ewige lig word,^d en jou God sal jou prag wees.^e

- 20** Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan sal nie dof word nie, want Jehovah sal vir jou 'n ewige lig word,^f en die dae van jou rou sal verby wees.^g

- 21** En jou hele volk sal regverdig wees. Hulle sal die land vir ewig besit. Hulle is die spruit wat ek geplant het, die werk van my hande,^h sodat ek verheerlik kan word.ⁱ

- 22** Die klein sal 'n duisend word, en die onbelangrike 'n magtige nasie.

Ek, Jehovah, sal dit op die regte tyd bespoedig.”

- 61** Die gees van die Soewereine Heer Jehovah is op my,^a want Jehovah het my gesalf om geoh nuus aan die nederiges te verkondig.^b Hy het my gestuur om dié met 'n gebroke hart te verbind, om aan die gevangenes bekend te maak dat hulle vrygelaat sal word, en aan dié wat opgesluit is, dat hulle oë wyd oopgemaak sal word.^c
- 2** om die jaar van Jehovah se genade en die dag van die wraak van ons God aan te kondig,^d om almal wat treur, te vertroos,^e
- 3** om te sorg vir dié wat oor Sion treur, om hulle 'n versiering vir hulle kop te gee in die plek van as, vreugdeolie in die plek van rou, die mantel van lof in die plek van 'n mismoedige gees. En hulle sal groot bome van regverdigheid genoem word, wat deur Jehovah geplant is, sodat hy verheerlik kan word.^f
- 4** Hulle sal die plekke herbou wat lank terug verwoes is. Hulle sal die plekke opbou wat al lank verlate lê,^g en hulle sal die verwoeste stede herstel,^h die plekke wat geslagte lank verlate was.ⁱ
- 5** “Vreemdelinge sal julle kuddes kom oppas,

HFST. 61

a Jes 42:1
Mt 3:16

b Mt 11:4, 5
Han 10:37, 38

c Lu 4:17-21
Lu 7:22
Han 26:17, 18

d Jes 34:8

e Jes 25:8
Mt 5:4
Lu 6:21

f Jes 60:21

g Jes 49:8
Jes 51:3

h Jes 44:26
Jes 58:12

i Ese 36:33, 34

Tweede kol.

a Jes 60:10

b Jes 14:1, 2

c Eks 19:6

d Jes 23:17, 18
Jes 60:5, 7

e Sag 9:12

f Jes 35:10

g De 32:4
Ps 33:5
Ps 37:28

h Spr 6:16-19

i Jes 55:3
Jer 32:40

j Sag 8:13

k Jes 65:23

l Jes 65:13

m Jes 52:1
Op 21:2

en uitlanders^a sal julle landerye bewerk en in julle wingerde werk.^b

- 6** Maar julle sal die priesters van Jehovah genoem word.^c Mense sal julle die dienaars van ons God noem. Julle sal die rykdom van die nasies geniet^d en met hulle heerlikheid* spog.
- 7** In plaas van skande sal julle 'n dubbele deel hê. In plaas van vernedering sal my volk van vreugde uitroep oor wat hulle kry. Ja, hulle sal 'n dubbele deel in hulle land besit.^e Hulle sal vir ewig vreugdevol wees.^f
- 8** Want ek, Jehovah, is lief vir geregtigheid.^g Ek haat diefstal en onregverdigheid.^h Ek sal hulle loon getrou vir hulle gee, en ek sal 'n ewige verbond met hulle maak.ⁱ
- 9** Hulle nageslag* sal bekend wees onder die nasies,^j en hulle nakomelinge onder die volke. Almal wat hulle sien, sal erken dat hulle die nageslag* is wat deur Jehovah geseën is.”^k
- 10** Ek sal groot vreugde vind in Jehovah. Met my hele hart en siel sal ek bly wees in my God.^l Want hy het my met die kleure van redding geklee.^m Hy het die mantel* van regverdigheid om my gehang.

61:6 *Of “rykdom”. 61:9 *Lett. “saad”. 61:10 *Of “moulose oorkleed”.

Ek is soos 'n bruidegom wat 'n tulband soos dié van 'n priester dra^a

en soos 'n bruid wat haar met haar juwele versier.

- 11** Want soos die aarde plante laat uitspruit, en soos 'n tuin die saad laat opkom wat daarin gesaai is, so sal die Soewereine Heer Jehovah

regverdigheid^b en lof voor al die nasies laat uitspruit.^c

- 62** Ter wille van Sion sal ek nie stilbly nie,^d en ter wille van Jerusalem sal ek nie stil wees nie, totdat haar regverdigheid soos 'n helder lig skyn^e en haar redding soos 'n fakkel brand.^f

- 2** “Die nasies sal jou regverdigheid sien, o vrou,^g en al die konings jou heerlikheid.^h En jy sal 'n nuwe naam kry,ⁱ wat Jehovah self vir jou sal gee.

- 3** Jy sal 'n pragtige kroon word in die hand van Jehovah,

'n koninklike tulband in die palm van jou God.

- 4** Jy sal nie meer 'n verlate vrou genoem word nie,^j en jou land sal nie meer 'n woesteny genoem word nie,^k

maar jy sal genoem word: Sy is my vreugde,^l

en jou land sal genoem word: Getroude vrou.

Want Jehovah sal vir jou lief wees, en jou land sal as 'n vrou besit word.

- 5** Want net soos 'n jong man met 'n maagd trou, sal jou inwoners met jou trou.

HFST. 61

a Eks 28:39, 41

b Jes 45:8
Jes 62:1

c Jes 58:11
Jes 60:18
Jes 62:7

HFST. 62

d Ps 102:13
Sag 2:12

e Jes 1:26

f Jes 51:5

g Jes 54:1
Jes 60:1

h Jes 49:23
Jes 60:11

i Jer 33:16

j Jes 49:14
Jes 54:6

k Jes 32:14

l Ps 149:4
Sef 3:17

Tweede kol.

a Jes 65:18, 19
Jer 32:41

b Jes 61:11
Jer 33:9
Sef 3:19, 20

c De 28:49-51
Jer 5:17

d De 14:23
Jes 65:21, 22

e Jes 40:3
Jes 48:20

f Jes 57:14

g Esr 1:1, 3
Jes 11:12
Jes 49:22

h Sag 9:9
Mt 21:5
Joh 12:15

Met die vreugde van 'n bruidegom oor 'n bruid sal jou God oor jou bly wees.^a

- 6** Op jou mure, o Jerusalem, het ek wagte aangestel. Hulle moet nooit stilbly nie, nie in die dag of in die nag nie.

Julle wat oor Jehovah praat, moenie ophou nie,

- 7** en moenie ophou om tot hom te bid totdat hy Jerusalem stewig vestig nie, ja, totdat hy haar die lof van die hele aarde maak nie.”^b

- 8** Jehovah het met sy regterhand en met sy sterk arm gesweer:

“Ek sal jou graan nie meer vir jou vyande gee om te eet nie,

en uitlanders sal nie jou nuwe wyn drink waarvoor jy hard gewerk het nie.”^c

- 9** Maar dié wat dit insamel, sal dit eet, en hulle sal Jehovah loof,

en dié wat dit bymekaar maak, sal dit in my heilige voorhove drink.”^d

- 10** Gaan deur die poorte, gaan deur die poorte.

Berei die weg vir die volk voor.^e

Bou die pad. Bou die grootpad.

Verwyder die klippe.^f Rig 'n banier* vir die volke op.^g

- 11** Kyk! Jehovah het tot aan die eindes van die aarde verkondig:

“Sê vir die dogter van Sion: ‘Jou redding kom.’^h

Die beloning wat God gee, is by hom,

62:10 *Of “seinpaal”.

en die loon wat hy betaal, is voor hom.”^a

- 12 Hulle sal die heilige volk genoem word, dié wat deur Jehovah teruggekoop is,^b en jy sal genoem word: Gewilde stad, 'n Stad wat nie verlate is nie.^c

63 Wie is dit wat daar uit Edom kom,^d

uit Bosra^e met helder* klere aan, met pragtige klere aan, wat met groot mag aankom? “Dit is ek, die Een wat met regverdigheid praat, die Een wat groot mag het om te red.”

- 2 Hoekom is u klere rooi, en hoekom is u klere soos dié van iemand wat die wynpers trap?^f

- 3 “Ek het die wynpers alleen getrap.

Niemand uit die volke was by my nie.

Ek het hulle in my woede bly trap.

Ek het hulle bly vertrap in my groot woede.^g

Hulle bloed het op my klere gespat, en ek het al my klere gevlek.

- 4 Want die dag van wraak is in my hart,^h

en die jaar van dié wat ek terugkoop, het gekom.

- 5 Ek het rondgekyk, maar daar was niemand om te help nie.

Ek was geskok dat niemand hulp aangebied het nie.

Daarom het my eie arm redding* gebring,ⁱ en my woede het my beweeg om op te tree.

- 6 Ek het volke in my woede vertrap.

HFST. 62

a Jes 40:9,10

Op 22:12

b Ps 107:2,3

c Jes 54:7

HFST. 63

d Ps 137:7
Jes 34:5,6

e Am 1:12

f Jl 3:13
Op 14:19,20
Op 19:15

g Jes 34:2

h Jes 34:8
Jes 35:4
Jes 61:1,2

i Jes 51:9
Jes 52:10
Jes 59:16

Tweede kol.

a Jer 25:15,16

b Ps 78:12
Ps 105:5

c Eks 24:7

d Eks 14:30

e Eks 3:7

f Eks 14:19
Eks 23:20

g De 7:8

h Eks 19:4
De 1:31

i De 9:7

j Han 7:51
Ef 4:30

k Le 26:14,17
De 28:63

l Jer 21:5

m Eks 14:30
Jes 51:10

n Ps 77:20

o Nu 11:16,17

Ek het hulle dronk gemaak met my woede^a en hulle bloed op die grond laat uitloop.”

- 7 Ek sal praat oor Jehovah se dade van lojale liefde, die dade van Jehovah, wat lof verdien,

want Jehovah het so baie vir ons gedoen.^b

Hy het soveel goeie dinge vir die huis van Israel gedoen

weens sy genade en sy groot lojale liefde.

- 8 Want hy het gesê: “Hulle is beslis my volk, kinders wat nie dislojaal sal wees nie.”^c

Daarom het hy hulle Redder geword.^d

- 9 Wanneer dit sleg gegaan het met hulle, het hy saam met hulle gely.^e

En sy persoonlike boodskapper* het hulle gered.^f

Omdat hy vir hulle lief was en vir hulle jammer gevoel het, het hy hulle teruggekoop,^g

en hy het hulle altyd opgetel en gedra.^h

- 10 Maar hulle het in opstand gekomⁱ en sy heilige gees bedroef.^j

Toe het Hy hulle vyand geword,^k

en hy het teen hulle geveg.^l

- 11 En hulle het aan die dae van lank gelede gedink,

die dae van sy kneg Moses: “Waar is die Een wat hulle deur die see gelei het^m saam met die herders van sy kudde?”ⁿ

Waar is die Een wat Sy heilige gees in hom geplaas het,^o

63:1 *Of moontlik “helderrooi”. 63:5 *Of “oorwinning”.

63:9 *Of “die engel van sy teenwoordigheid”.

- 12** die Een wat Moses* met Sy groot mag^a gelei het,^a die Een wat die waters voor hulle verdeel het^b om vir hom 'n ewige naam te maak,^c
- 13** die Een wat hulle deur die onstuimige waters* laat trek het, sodat hulle soos 'n perd in die oop veld^d geloop het sonder om te struikel?
- 14** Die gees van Jehovah het hulle laat rus^d soos wanneer die kudde na die vallei gaan.” So het u u volk gelei om vir u 'n glorieryke* naam te maak.^e
- 15** Kyk af uit die hemel. Kyk vanuit u verhewe woning van heiligheid en heerlikheid.* Waar is u ywer en u mag, u diep medelye^{ff} en u genade?^g U weerhou dit van my.
- 16** Want u is ons Vader.^h Hoewel Abraham ons dalk nie ken nie en Israel ons moontlik nie erken nie, is u, o Jehovah, ons Vader. U naam is: Ons Terugkoper van lank gelede.ⁱ
- 17** Hoekom, o Jehovah, laat u ons van u weë afdwaal? Hoekom laat u ons hart ongevoelig word, sodat ons u nie vrees nie?^j Keer terug ter wille van u knegte, die stamme van u erfdeel.^k

63:12 *Lett. “die regterhand van Moses”. ^aOf “glorieryke arm”. **63:13** *Of “diep waters”. ^bOf “wildernis”. **63:14** *Of “pragtige”. **63:15** *Of “prag”. ^cSien Woordelys.

HFST. 63

a Eks 6:1, 6
Eks 15:16

b Eks 14:21, 22

c Eks 9:15, 16
Eks 14:17
Ro 9:17

d Jos 22:4

e 2Sa 7:23
Ne 9:10

f Jer 31:20

g De 4:31
Ne 9:17

h Eks 4:22

i Jes 41:14

j Jes 6:10

k Ps 74:2
Ps 80:14, 15

Tweede kol.

a 2Kr 36:19
Jes 64:11
Klg 1:10

HFST. 64

b Eks 34:10

c Hab 3:6

d Ps 130:6-8
Jes 25:9
Mi 7:7
1Kor 2:9

e Sef 2:3
Han 10:34, 35

f Jes 1:21
Jes 63:10

g Le 12:2
Le 15:20

- 18** U heilige volk het dit vir 'n kort rukkie besit. Ons teenstanders het u heiligdom vertrap.^a
- 19** Ons is al te lank soos mense oor wie u nooit regeer het nie, soos mense wat nooit u naam gedra het nie.

64 As u maar net die hemel uitmekaargeskeur het en neergedaal het.

Dan sou die berge weens u bewe,

2 soos wanneer 'n vuur die fynhout aan die brand steek

en die vuur die water laat kook.

Dan sou u vyande u naam ken,

en die nasies sou voor u bewe!

3 Toe u ontsagwekkende dinge gedoen het wat ons nie verwag het nie,^b het u neergedaal, en die berge het voor u gebewe.^c

4 Niemand het nog ooit van 'n God soos u gehoor of 'n God soos u gesien wat optree ter wille van dié wat gretig* op hom wag nie.^d

5 U het dié verwelkom wat vreugdevol doen wat reg is,^e dié wat aan u dink en u weë volg.

U het kwaad geword, terwyl ons bly sondig het.^f Ons het lank daarmee aangehou.

Moet ons nou gered word?

6 En ons het almal geword soos iemand wat onrein is, en al ons regverdige daede is soos die doek van 'n mensstruerende vrou.^g

64:4 *Of “geduldig”.

Ons sal almal soos blare verlep,
en ons oortredings sal ons wegwaai soos die wind.

7 Daar is niemand wat u naam aanroep nie,
niemand wat hom inspan om u vas te gryp nie,
want u het u gesig van ons af weggedraai,^a
en u laat ons wegteer as gevolg van ons oortredings.

8 Maar u is ons Vader,
o Jehovah.^b
Ons is die klei, en u is ons Pottebakker.^{*c}
Ons is almal die werk van u hande.

9 Moenie te kwaad word nie,
o Jehovah,^d
en moenie vir ewig aan ons oortredings dink nie.
Kyk asseblief na ons, want ons is almal u volk.

10 U heilige stede het 'n wildernis geword.

Sion het 'n wildernis geword,

Jerusalem 'n woesteny.^e

11 Ons heilige en glorieryke* tempel,
waar ons voorvaders u geloof het,
is met vuur verbrand,^f
en alles wat vir ons kosbaar was, is verwoes.

12 Sal u dan nie optree nie,
o Jehovah?

Sal u stilbê en toelaat dat ons so bitterlik ly?^g

65 "Ek het my aan dié geopenbaar wat nie oor my gevra het nie.
Ek het my laat vind deur dié wat my nie gesoek het nie.^h
Ek het gesê: 'Hier is ek, hier is ek!' vir 'n nasie wat nie

64:8 *Of "die Een wat ons gevorm het".
64:11 *Of "pragtige".

HFST. 64

a De 31:17
Jes 57:17

b Jes 63:16

c Jes 29:16
Jes 45:9
Jer 18:6

d Ps 74:1
Ps 79:5

e Ps 79:1
Klg 1:4
Klg 5:18
Mi 3:12

f 2Kr 36:17,19
Jer 52:12,13

g Ps 74:10,11
Sag 1:12

HFST. 65

h Jes 55:6,7

Tweede kol.

a Ro 10:20,21

b De 31:27
Ne 9:29
Sag 7:11

c Jes 59:7,8
Jer 35:15

d Jer 5:23

e 2Kn 17:16,17
Jer 32:29

f Jes 1:29
Jes 66:17

g Nu 19:16

h Le 11:7,8
Jes 66:17

i De 14:3

j Ps 50:3,21
Jer 16:18
Ese 11:21

k Eks 20:4,5
Le 26:39

l 1Kn 22:41,43
2Kn 12:3

my naam aangeroop het nie.^a

2 Ek het my hande die hele dag deur uitgestrek na 'n hardkoppige volk,^b
na dié wat op die verkeerde weg is,^c

3 'n volk wat my heelyd in my gesig beledig,^e
wat in die tuine^f offerandes bring en op bakstene offerrook laat opgaan.

4 Hulle sit tussen die grafte,^g
en hulle bring die nag in geheime plekke* deur en eet varkveis.^h
En die sous van walglike[#] dinge is in hulle houers.ⁱ

5 Hulle sê: 'Bly waar jy is. Moenie nader kom nie, want ek is heiliger as jy.*' Hulle is soos rook in my neusgate, 'n vuur wat die hele dag brand.

6 Kyk! Dit staan voor my geskryf.
Ek sal nie stilstaan nie, maar ek sal hulle hulle verdiende loon gee.^j
Ek sal hulle die volle straf gee

7 vir hulle oortredings en vir die oortredings van hulle voorvaders,^k sê Jehovah. "Hulle het offerrook op die berge laat opgaan en my op die heuwels beledig.^l

Die eerste ding wat ek dus sal doen, is om hulle hulle verdiende loon te gee."

8 Dit is wat Jehovah sê:
"Dit is soos wanneer 'n tros druiwe gevind word waarmee nuwe wyn gemaak kan word

65:4 *Of moontlik "in hutte vir wagtete". [#]Of "onrein". 65:5 *Of moontlik "want ek sal my heiligheid aan jou oordra".

en iemand sê: 'Moet dit nie vernietig nie, want daar is iets goeds* daarin.'

Ek sal dieselfde vir my knegte doen.

Ek sal hulle nie almal vernietig nie.^a

- 9** Ek sal uit Jakob 'n nageslag* voortbring, en uit Juda die een wat my berge sal erf.^b

Dié wat ek uitgekies het, sal dit in besit neem, en my knegte sal daar woon.^c

- 10** Saron^d sal 'n weiveld vir skape word, en die Agor-vallei^e 'n rusplek vir beeste, vir my volk wat my soek.

- 11** Maar julle het Jehovah verlaat.^f

Julle het my heilige berg vergeet.^g

Julle het 'n tafel vir die Gelugsgod gedek en bekere gemengde wyn vir die god van die Noodlot geskink.

- 12** Daarom sal ek seker maak dat die swaard julle tref,^h en julle sal almal buig om geslag te word,ⁱ want ek het geroep, maar julle het nie geantwoord nie, en ek het gepraat, maar julle het nie geluister nie.^j Julle het bly doen wat sleg is in my oë, en julle het dinge gekies waarvan ek niks hou nie.^k

- 13** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:

"Kyk! My knegte sal eet, maar julle sal honger ly.^l My knegte sal drink,^m maar julle sal dors wees.

65:8 *Lett. "'n seën". 65:9 *Lett. "saad".

HFST. 65

a Jer 30:11
Am 9:8

b Jes 60:21
Ese 37:21
Ob 17

c Jes 61:7
Sef 3:20

d Jes 33:9

e Jos 7:24
Ho 2:15

f Jes 1:4

g 2Kr 28:24
2Kr 34:25

h Le 26:25
Ese 6:13

i Ese 9:6

j 2Kr 36:15, 16

k Jes 66:3

l Ps 37:19, 25
Am 8:11

m Jes 49:10

Tweede kol.

a Jes 66:14

b Jes 66:5

c Jes 62:2
Jer 33:16

d De 6:13

e Jes 12:1
Jer 31:12
Sef 3:14, 15

f Esr 5:2
Jes 51:16
Jes 66:22
2Pe 3:13

g Op 21:1, 4

h Jes 51:11

My knegte sal vreugdevol wees,^a maar julle sal skaam kry.^b

- 14** My knegte sal vreugdevol uitroep weens die vreugde in hulle hart,^{*}

maar julle sal uitroep weens die pyn in julle hart, en julle sal huil weens 'n gebroke gees.

- 15** Julle sal 'n naam agterlaat wat as 'n vloek gebruik sal word deur dié wat ek uitgekies het.

En die Soewereine Heer Jehovah sal elkeen van julle doodmaak, maar hy sal sy eie knegte 'n ander naam gee.^c

- 16** sodat elkeen op die aarde wat vir homself 'n seën soek,

deur die God van waarheid* geseën sal word, en sodat elkeen op die aarde wat 'n eed sweer, by die God van waarheid* sal sweer.^d

Want die moeilikhede van die verlede sal vergete wees.

Ek sal dit nie meer sien nie.^e

- 17** Want kyk, ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde,^f en daar sal nie aan die vorige dinge gedink word* nie, en dit sal ook nie in die hart opkom nie.^g

- 18** Wees dus vreugdevol en wees vir ewig bly oor wat ek skep.

Want kyk, ek maak Jerusalem iets om oor bly te wees

en haar volk iets om oor vreugdevol te wees.^h

65:14 *Of "goeie toestand van die hart". 65:16 *Of "getrouheid". Lett. "amen". 65:17 *Of "en die vorige dinge sal nie onthou word".

19 En ek sal bly wees oor Jerusalem en vreugdevol wees oor my volk.^a

'n Gehuil of 'n geroep om hulp sal nie meer in haar gehoor word nie.^b

20 “Daar sal nie meer 'n baba wees wat net 'n paar dae lewe nie, en ook nie 'n ou man wat nie sy jare uitleef nie, want iemand wat sterf wanneer hy 100 jaar oud is, sal as 'n blote kind beskou word, en die sondaar sal vervloek word, al is hy 100 jaar oud.*

21 Hulle sal huise bou en daarin woon,^c en hulle sal wingerde plant en die vrugte daarvan eet.^d

22 Hulle sal nie huise bou sodat ander daarin woon nie, en hulle sal nie plant sodat ander dit eet nie. Want die dae van my volk sal wees soos die dae van 'n boom,^e en dié wat ek uitgekies het, sal die werk van hulle hande ten volle geniet.

23 Hulle sal nie verniet hard werk nie,^f en hulle kinders sal nie ramspoed ondervind nie, want hulle en hulle kinders is die nageslag^{*g} wat deur Jehovah geseën is.^h

24 Nog voordat hulle uitroep, sal ek antwoord. Terwyl hulle nog praat, sal ek hoor.

25 Die wolf en die lam sal saam wei.

65:20 *Of moontlik “en iemand wat nie 100 word nie, sal as vervloek beskou word”. 65:23 *Lett. “saad”.

HFST. 65

a Jes 62:4
Jer 32:41

b Jes 25:8
Jer 31:12

c Jer 31:4

d Jes 62:8
Am 9:14

e Ps 92:12-14

f Le 26:3-5
De 28:4

g Jes 66:22

h Jes 61:9

Tweede kol.

a Jes 35:9
Ho 2:18

b Jes 2:3, 4
Jes 11:6-9
Mi 4:2

HFST. 66

c Mt 5:34, 35

d 2Kr 6:18
Han 17:24

e 1Kr 28:2
Han 7:48-50

f Jes 40:26

g 2Kn 22:18, 19
Lu 18:14

h Jes 1:11

i Le 11:27

j De 14:8

k Le 2:1, 2

l Jes 1:13

m De 28:15

Die leeu sal strooi eet net soos die bul,^a en die slang sal stof eet. Hulle sal niemand seermaak of enige skade aanrig op my hele heilige berg nie,^b sê Jehovah.

66 Dit is wat Jehovah sê: “Die hemel is my troon en die aarde is my voetbank.^c

Watter huis kan julle dan vir my bou,^d en waar is my rusplek?”^e

2 “My hand het al hierdie dinge gemaak, en so het alles ontstaan,” sê Jehovah.^f

“Maar my oë is op die een wat nederig is en 'n gebroke gees het en wat diep respek vir my woord het.^g

3 Die een wat 'n bul slag, is soos iemand wat 'n man doodmaak.^h

Die een wat 'n skaap offer, is soos iemand wat die nek van 'n hond breek.ⁱ

Die een wat 'n gawe offer, is soos iemand wat varkbloed offer!^j

Die een wat 'n gedenkoffer van wierook bring,^k is soos iemand wat towerwoorde gebruik om te seën.^{*l}

Hulle het hulle eie weë gekies, en hulle hou van walglike dinge.

4 Daarom sal ek kies hoe ek hulle gaan straf,^m en ek sal die dinge wat hulle vrees, oor hulle bring, want toe ek geroep het, het niemand geantwoord nie,

66:3 *Of moontlik “iemand wat 'n afgod prys”.

- en toe ek gepraat het, het niemand geluister nie.^a
 Hulle het bly doen wat sleg is in my oë
 en het gekies om te doen waarvan ek niks hou nie.”^b
- 5** Hoor die woord van Jehovah, julle wat diep respek vir sy woord het:
 “Julle broers wat julle haat en julle verstoot weens my naam, het gesê: ‘Mag Jehovah verheerlik word!’^c
 Maar Hy sal verskyn en vir julle vreugde gee, terwyl hulle verneder sal word.”^d
- 6** Daar is ’n lawaai in die stad, ’n geraas in die tempel!
 Dit is die geluid van Jehovah wat sy vyande hulle verdiende loon gee.
- 7** Voordat sy geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee.^e
 Voordat geboortepyne oor haar gekom het, het sy aan ’n seun geboorte gegee.
- 8** Wie het al ooit van so iets gehoor?
 Wie het al sulke dinge gesien?
 Sal ’n land op een dag gebore word?
 Of sal ’n nasie in ’n oomblik gebore word?
 Maar Sion het skaars geboortepyne gekry, toe is haar kinders gebore.
- 9** “Sal ek die geboorte laat begin en die kind dan nie voortbring nie?” sê Jehovah.
 “Of sal ek die geboorte veroorsaak en die baarmoeder dan sluit?” sê jou God.
- 10** Wees vreugdevol saam met Jerusalem en wees bly saam met haar,^f almal wat haar liefhet.^g
- HFST. 66
 a Jer 7:13
 b 2Kn 21:9
 Jes 65:3
 c Jes 5:18, 19
 Jes 29:13
 d Jes 65:13, 14
 Jer 17:13, 18
 e Jes 54:1
 f Jes 44:23
 g Ps 137:6

Tweede kol.

- a Jes 9:7
 b Jes 60:3
 Hag 2:7
 c Jes 51:3
 d Jes 44:28
 Jes 65:18, 19
 e Jes 59:18
 f De 4:24
 g Ps 50:3
 Jer 25:32, 33
 h 2Te 1:7, 8

- Juig van vreugde saam met haar, almal wat oor haar treur,
11 want julle sal aan haar bors gevoed word en heeltemal versadig en vertroos word,
 en julle sal na hartelus drink en vreugde vind in haar groot heerlikheid.
- 12** Daarom sê Jehovah:
 “Kyk, ek gee vir haar vrede soos ’n rivier^a
 en die heerlikheid van nasies soos ’n stroom vloedwaters.^b
 Julle sal geborsvoed word en op die heup gedra word en op die skoot versorg word.
- 13** Soos ’n ma haar seun vertroos,
 so sal ek aanhou om julle te vertroos,^c
 en julle sal oor Jerusalem vertroos word.^d
- 14** Julle sal dit sien, en julle hart sal vreugdevol wees, en julle* sal vol lewe wees net soos groen gras.
 En die hand^e van Jehovah sal aan sy knegte geopenbaar word,
 maar hy sal sy vyande veroordeel.”^e
- 15** “Want Jehovah sal soos ’n vuur kom,^f
 en sy strydwaens soos ’n stormwind,^g
 om met groot woede wraak te neem,
 om met vuurvlamme te straf.^h
- 16** Want Jehovah kom met vuur en met sy swaard om alle mense* te oordeel.
 En dié wat deur Jehovah doodgemaak is, sal baie wees.

66:14 *Lett. “julle gebeente”. [#]Of “mag”. **66:16** *Lett. “vlees”.

17 "Dié wat hulleself heilig en reinig om in die tuine^a in te gaan, wat varkveis^b en walglike dinge en muise^c eet, sal almal saam aan hulle einde kom," sê Jehovah. 18 "Omdat ek hulle werke en hulle gedagtes ken, kom ek om mense van al die nasies en tale bymekaar te bring, en hulle sal kom en my heerlikheid sien."

19 "Ek sal vir hulle 'n teken gee, en ek sal van dié wat weggekome het, na die nasies stuur wat nie 'n berig oor my gehoor het of my heerlikheid gesien het nie - na Tarsis,^d Pul en Lud,^e lande van boogskutters, en na Tubal en Javan^f en na die eilande wat ver weg is. En hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig.^g 20 Hulle sal al julle broers uit al die nasies^h as 'n gawe aan Jehovah bring. Hulle sal hulle op perde, in waens, in tentwaens, op muile en op vinnige kamele bring na my heilige berg, Jerusalem," sê Jehovah,

66:17 *D.w.s. spesiale tuine wat in afgodediens gebruik is. Lett. "die tuine agter die een in die middel".

HFST. 66

a Jes 1:29
Jes 65:3

b Le 11:7, 8
Jes 65:4

c Le 11:29

d Ge 10:4

e Ge 10:6, 13

f Ge 10:2
Ese 27:12, 13

g Jes 60:3
Mal 1:11

h De 30:1-3
Jes 11:16
Jes 43:6
Jes 60:4, 9

Tweede kol.

a Jes 65:17, 18
2Pe 3:13
Op 21:1

b Jes 65:23
Jer 31:35, 36

c Ps 86:9
Sag 14:16
Mal 1:11

d Jes 34:10
Mt 25:41
Mr 9:47, 48
2Te 1:9

JESAJA 66:17 - JEREMIA Oorsig

"net soos wanneer die Israeliete hulle gawe in 'n rein houder in die huis van Jehovah inbring."

21 "Ek sal ook party kies om priesters en Leviete te wees," sê Jehovah.

22 "Want net soos die nuwe hemele en die nuwe aarde^a wat ek maak, altyd voor my sal bestaan," sê Jehovah, "so sal julle nageslag^{*} en julle naam bly bestaan."^b

23 "En van nuwemaan tot nuwemaan en van sabbat tot sabbat sal alle mense^{*} kom om my te aanbid,"^{sc} sê Jehovah.

24 "En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen my in opstand gekome het: Die wurms op hulle sal nie doodgaan nie, en hulle vuur sal nie geblus word nie,^d en hulle sal iets walglik vir alle mense^{*} word."

66:22 *Lett. "saad". 66:23, 24 *Lett. "vlees". 66:23 *Of "om voor my neer te buig".

JEREMIA

OORSIG

- Jeremia as profeet aangestel (1-10)
Visioen van amandelboom (11, 12)
Visioen van kookpot (13-16)
Jeremia versterk vir sy toewysing (17-19)
- Israel verlaat Jehovah om ander gode te aanbid (1-37)
Israel soos vreemde wingerdstok (21)
Haar klere bevek met bloed (34)
- Erns van Israel se afvalligheid (1-5)

- Israel en Juda skuldig aan egbreuk (6-11)
Versoek om berou te toon (12-25)
- Berou bring seëninge (1-4)
Rampspoed sal uit noorde kom (5-18)
Jeremia se pyn oor komende rampspoed (19-31)
- Volk weier Jehovah se dissipline (1-13)
Vernietig, maar nie heeltemal uitgeroei nie (14-19)
Jehovah eis rekenskap van volk (20-31)

- 6 Beleëring van Jerusalem naby (1-9)
 Jehovah se woede oor
 Jerusalem (10-21)
 Sê "Vrede!" terwyl daar geen vrede
 is nie (14)
 Wrede inval uit noorde (22-26)
 Jeremia sal as metaaltoetsers
 dien (27-30)
- 7 Valse vertroue in Jehovah se
 tempel (1-11)
 Tempel sal soos Silo word (12-15)
 Valse aanbidding veroordeel (16-34)
 Aanbidding van "Koningin van
 die Hemel" (18)
 Kinderoffers in Hinnom (31)
- 8 Volk kies gewilde weg (1-7)
 Watter wysheid sonder Jehovah se
 woord? (8-17)
 Jeremia treur oor Juda se
 ineenstorting (18-22)
 "Is daar geen balsem in Gilead
 nie?" (22)
- 9 Jeremia is baie hartseer (1-3a)
 Jehovah eis rekenskap van Juda (3b-16)
 Treurlied oor Juda (17-22)
 Spog dat hulle Jehovah ken (23-26)
- 10 Gode van nasies teenoor lewende
 God (1-16)
 Vernietiging en ballingskap
 naby (17, 18)
 Jeremia treur (19-22)
 Profet se gebed (23-25)
 Mens kan nie sy voetstappe rig
 nie (23)
- 11 Juda verbreek verbond met God (1-17)
 Daar is net soveel gode as stede (13)
 Jeremia soos lammetjie wat
 geslag gaan word (18-20)
 Teenstand van Jeremia se
 tuisdorp (21-23)
- 12 Jeremia se klagte (1-4)
 Jehovah se antwoord (5-17)
- 13 Lyfband van linne is verniel (1-11)
 Wynkruike moet stukkend geslaan
 word (12-14)
 Juda wil nie verander nie; sal in
 ballingskap gaan (15-27)
- "Kan 'n Kussiet sy vel
 verander?" (23)
- 14 Droogte, hongersnood en swaard (1-12)
 Valse profete veroordeel (13-18)
 Jeremia erken volk se sondes (19-22)
- 15 Jehovah sal nie sy oordeel
 verander nie (1-9)
 Jeremia se klagte (10)
 Jehovah se antwoord (11-14)
 Jeremia se gebed (15-18)
 Vreugde om God se woorde te
 eet (16)
 Jeremia deur Jehovah versterk (19-21)
- 16 Jeremia moenie trou, treur of
 feesvier nie (1-9)
 Straf, dan herstel (10-21)
- 17 Juda se sonde is inggraveer (1-4)
 Vertroue in Jehovah bring
 seëninge (5-8)
 Bedrieglike hart (9-11)
 Jehovah, die hoop van Israel (12, 13)
 Jeremia se gebed (14-18)
 Sabbat moet gehou word (19-27)
- 18 Klei in pottebakker se hande (1-12)
 Jehovah draai sy rug op Israel (13-17)
 Plan teen Jeremia; sy versoek (18-23)
- 19 Jeremia beveel om kleifles te
 breek (1-15)
 Kinderoffers aan Baäl (5)
- 20 Pasgur slaan Jeremia (1-6)
 Jeremia kan nie ophou preek nie (7-13)
 God se boodskap soos brandende
 vuur (9)
 Jehovah soos skrikwekkende
 vegter (11)
 Jeremia se klagte (14-18)
- 21 Jehovah weier Sedekia se versoek (1-7)
 Volk moet lewe of dood kies (8-14)
- 22 Oordeelsboodskappe teen
 slegte konings (1-30)
 Oor Sallum (10-12)
 Oor Jojakim (13-23)
 Oor Gonja (24-30)
- 23 Goeie en slegte herders (1-4)
 Veiligheid onder "regverdige
 spruit" (5-8)

- Valse profete veroordeel (9-32)
 “Die las” van Jehovah (33-40)
- 24 Goeie vye en slegte vye (1-10)
- 25 Jehovah se geskil met nasies (1-38)
 Nasies moet Babilon 70 jaar lank dien (11)
 Beker van wyn van God se woede (15)
 Rampspoed van nasie tot nasie (32)
 Dié wat deur Jehovah doodgemaak is (33)
- 26 Jeremia met dood gedreig (1-15)
 Jeremia gespaar (16-19)
 Miga se profesie aangehaal (18)
 Profet Uria (20-24)
- 27 Juk van Babilon (1-11)
 Sedekia beveel om hom aan Babilon te onderwerp (12-22)
- 28 Jeremia teen valse profet Hananja (1-17)
- 29 Jeremia se brief aan ballinge in Babilon (1-23)
 Israel sal ná 70 jaar terugkeer (10)
 Boodskap aan Semaja (24-32)
- 30 Beloftes van herstel en genesing (1-24)
- 31 Oorblyfsel van Israel sal weer in land woon (1-30)
 Ragel huil oor haar kinders (15)
 Nuwe verbond (31-40)
- 32 Jeremia koop stuk grond (1-15)
 Jeremia se gebed (16-25)
 Jehovah se antwoord (26-44)
- 33 Belofte van herstel (1-13)
 Veiligheid onder “regverdige spruit” (14-16)
 Verbond met Dawid en priesters (17-26)
 Verbond met dag en nag (20)
- 34 Oordeelsboodskap aan Sedekia (1-7)
 Verbond om slawe te bevry, verbreek (8-22)
- 35 Regabiete se gehoorsaamheid (1-19)
- 36 Jeremia dikteer inhoud van boekrol (1-7)
 Barug lees hardop uit boekrol (8-19)
 Jopakim verbrand boekrol (20-26)
- Boodskap oorgeskryf in nuwe boekrol (27-32)
- 37 Galdeërs sal net tydelik wegtrek (1-10)
 Jeremia in tronk (11-16)
 Sedekia praat met Jeremia (17-21)
 Jeremia van brood voorsien (21)
- 38 Jeremia in reënput gegooi (1-6)
 Ebed-Meleg red Jeremia (7-13)
 Jeremia spoor Sedekia aan om oor te gee (14-28)
- 39 Val van Jerusalem (1-10)
 Sedekia vlug en word gevang (4-7)
 Jeremia sal beskerm word (11-14)
 Ebed-Meleg se lewe sal gespaar word (15-18)
- 40 Nebusaradan bevry Jeremia (1-6)
 Gedalja oor land aangestel (7-12)
 Komplot teen Gedalja (13-16)
- 41 Gedalja deur Ismael vermoor (1-10)
 Ismael vlug vir Johanan (11-18)
- 42 Volk vra Jeremia om vir leiding te bid (1-6)
 Jehovah antwoord: “Moenie Egipte toe gaan nie” (7-22)
- 43 Volk ongehoorsaam; gaan Egipte toe (1-7)
 Jehovah se boodskap aan Jeremia in Egipte (8-13)
- 44 Rampspoed oor Jode in Egipte voorspel (1-14)
 Volk verwerp God se waarskuwing (15-30)
 Aanbidding van “Koningin van die Hemel” (17-19)
- 45 Jehovah se boodskap aan Barug (1-5)
- 46 Profesie teen Egipte (1-26)
 Nebukadnesar sal Egipte verower (13, 26)
 Beloftes aan Israel (27, 28)
- 47 Profesie teen Filistyne (1-7)
- 48 Profesie teen Moab (1-47)
- 49 Profesie teen Ammon (1-6)
 Profesie teen Edom (7-22)
 Edom sal ophou bestaan as nasie (17, 18)
 Profesie teen Damaskus (23-27)

- Profesie teen Kedar en Hasor (28-33)
 Profesie teen Elam (34-39)
- 50 Profesie teen Babilon (1-46)
 "Vlug uit Babilon uit" (8)
 Israel sal terugbring word (17-19)
 Babilon se waters sal opgedroog word (38)
 Babilon sal onbewoon wees (39, 40)
- 51 Profesie teen Babilon (1-64)

- Babilon sal skielik voor Mede val (8-12)
 Boek in Eufraat gegooi (59-64)
- 52 Sedekia kom in opstand teen Babilon (1-3)
 Nebukadnesar beleër Jerusalem (4-11)
 Stad en tempel vernietig (12-23)
 Volk in ballingskap na Babilon geneem (24-30)
 Jojagin uit gevangenis vrygelaat (31-34)

1 Dit is die woorde van Jeremia* die seun van Hilki'a, een van die priesters in A'natot^a in die land van Benjamin.

2 Hy het boodskappe van Jehovah ontvang in die 13de jaar nadat Josi'a^b die seun van Amon^c koning van Juda geword het.

3 Hy het ook boodskappe ontvang in die tyd van Joja'kim^d die seun van Josi'a, die koning van Juda, tot aan die einde van die 11de jaar van Sedeki'a^e die seun van Josi'a, die koning van Juda, toe Jerusalem in die vyfde maand in ballingskap gegaan het.^f

4 Jehovah het vir my gesê:

5 "Voordat ek jou in die baarmoeder gevorm het, het ek jou geken,^g en voordat jy gebore is,^h het ek jou geheilig.^h Ek het jou 'n profeet vir die nasies gemaak."

6 Maar ek het gesê: "Ag, Soewereine Heer Jehovah! Ek kan nie goed praat nie,ⁱ want ek is maar net 'n seun."^j

1:1 *Betekend moontlik "Jehovah verhef". 1:5 *Of "gekies". ^aLett. "voordat jy uit die baarmoeder voortgekome het". ^bOf "afgesonder". **1:6** *Of "jongmens".

- HFST. 1
 a Jos 21:8, 18
 b 2Kn 22:1, 2
 c 2Kn 21:19, 20
 d 2Kn 24:1
 2Kr 36:4
 e 2Kn 24:18, 19
 f 2Kn 25:8, 11
 Jer 52:12, 15
 g Rig 13:5
 Ps 139:15, 16
 h Lu 1:13, 15
 i Eks 4:10
 j 1Kn 3:5, 7

Tweede kol.

- a Eks 7:1, 2
 b Ese 2:6
 c Eks 3:11, 12
 Jer 15:20
 Han 18:9, 10
 d Jes 6:7
 e Eks 4:12, 15
 Ese 33:7
 f Jer 18:7-10
 Jer 24:5, 6

7 Jehovah het toe vir my gesê: "Moenie sê: 'Ek is maar net 'n seun' nie.

Want jy moet na almal gaan na wie ek jou stuur, en jy moet alles sê wat ek jou beveel.^a

8 Moenie bang wees vir hoe hulle lyk nie,^b want 'ek is met jou om jou te red,'^c sê Jehovah."

9 Toe het Jehovah sy hand uitgesteek en aan my mond geraak.^d En Jehovah het vir my gesê: "Ek het my woorde in jou mond gesit.^e **10** Kyk, ek het jou vandag oor die nasies en oor die koninkryke aangestel, om uit te ruk en af te breek, om te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant."^f

11 Jehovah het weer met my gepraat en gevra: "Wat sien jy, Jeremia?" Toe het ek gesê: "Ek sien die tak van 'n amandelboom."^g

12 Jehovah het vir my gesê: "Ja, jy het reg gesien, want ek is wavyd wakker sodat ek my woord kan uitvoer."^h

13 Jehovah het 'n tweede keer met my gepraat en gevra: "Wat sien jy?" Toe het ek gesê:

1:11 *Lett. "van een wat wakker word".

“Ek sien ’n pot wat kook,* en die opening van die pot is weg van die noorde af gedraai.” **14** Toe het Jehovah vir my gesê:

“Uit die noorde sal die ramspoed losbreek teen al die inwoners van die land.^a

15 Want ’ek roep al die families van die koninkryke van die noorde,^b sê Jehovah,^b ’en hulle sal beslis kom, en elkeen sal sy troon opstel by die ingang van die poorte van Jerusalem,^c en hulle sal die mure rondom die stad en al die stede van Juda aanval.^d

16 En ek sal my oordele teen hulle uitspreek weens al hulle goddeloosheid, want hulle het my verlaat,^e en hulle maak offerrook vir ander gode,^f en hulle buig neer voor die werke van hulle eie hande.^g

17 Maar jy moet jou gereedmaak,* en jy moet opstaan en vir hulle alles sê wat ek jou beveel. Moenie vir hulle bang wees nie,^h sodat ek jou nie voor hulle rede gee om bang te wees nie.

18 Want ek het jou vandag ’n versterkte stad gemaak, ’n ysterpilaar en kopermure om weerstand te bied teen die hele land,ⁱ teen die konings van Juda en sy leiers, teen sy priesters en die volk van die land.^j

1:13 *Lett. “wat aangeblaas word”. Dit dui op ’n vuur onder die pot wat aangeblaas word. **1:17** *Lett. “jou heupe omgord”.

HFST. 1

a Jer 6:1
Jer 10:22b Jer 5:15
Jer 6:22
Jer 25:9

c Jer 39:3

d De 28:52
Jer 34:22
Jer 44:6e Jos 24:20
2Kn 22:17
2Kr 7:19, 20f Ese 8:10, 11
Ho 11:2

g Jes 2:8

h Ese 2:6

i Jer 15:20
Jer 20:11
Ese 3:8
Mi 3:8

j Jer 26:12

Tweede kol.

a Ge 28:15
Eks 3:12
Jos 1:5

HFST. 2

b Ho 2:15

c Eks 24:3

d De 2:7

e Eks 19:6
De 7:6

f Eks 17:8, 13

g Jes 5:4
Mi 6:3

h De 32:21

i Ps 115:4, 8

j Eks 14:30

k De 1:1
De 32:9, 10

19 En hulle sal beslis teen jou veg, maar hulle sal nie die oorhand oor jou kry nie,* want ’ek is met jou,^a sê Jehovah, ’om jou te red.”

2 **2** Jehovah het vir my gesê: **2** “Gaan en verkondig aan die inwoners van* Jerusalem: ‘Dit is wat Jehovah sê:

“Ek onthou nog goed hoe toegewyd jy in jou jong dae was,^b

die liefde wat jy getoon het toe jy verloof was,^c hoe jy my in die wildernis gevolg het, in ’n land waar geen saad gesaai is nie.^d

3 Israel was heilig vir Jehovah,^e die eerste opbrengs* van sy oes.”

‘Enigiemand wat hom verblind, sal skuldig word. Ramspoed sal hulle tref,^f sê Jehovah.”^f

4 Hoor die woord van Jehovah, o huis van Jakob, en al die families van die huis van Israel.

5 Dit is wat Jehovah sê: “Watter fout het julle voorvaders by my gevind,^g dat hulle so ver van my af weggedwaal het en agter waardelose afgode^h aangeloo het en self waardeloos geword het?ⁱ

6 Hulle het nie gevra: ‘Waar is Jehovah, die Een wat ons uit Egipte uitgelei het,^j wat ons deur die wildernis gelei het, deur ’n land van woestyne^k en diep gate,

1:19 *Of “jou nie verslaan nie”. **2:2** *Of “in die ore van”. *Of “die loja-le liefde van jou jeug”. **2:3** *Of “die eersteling”. Sien Woordelys.

deur 'n dorre land^a van
diep skaduwee,
deur 'n land waardeur
geen mens reis
en waar geen mense
woon nie?'

- 7** Ek het julle toe na 'n land
van vrugteboorde gebring,
om die vrugte en die goeie
dinge daarvan te eet.^b

Maar julle het ingekom en
my land onrein gemaak.
Julle het my erfdeel in iets
afskuweliks verander.^c

- 8** Die priesters het nie gevra:
'Waar is Jehovah?' nie.^d
Dié wat die Wet hanteer,
het my nie geken nie.
Die herders het teen my in
opstand gekom.^e

Die profete het deur Baäl
geprofeteer,^f
en hulle het dié gevolg wat
niemand kan help nie.

- 9** 'Daarom sal ek aanhou om
'n saak teen julle te
maak,^g sê Jehovah,
'en ek sal 'n saak teen julle
nageslag maak.'

- 10** 'Maar gaan oor na die kus-
lande* van die Kittiers^h
en kyk.

Ja, stuur iemand na Kedarⁱ
en dink mooi hieroor na.
Kyk of iets soos die volgen-
de al gebeur het:

- 11** Het 'n nasie al ooit sy gode
verruil vir dié wat nie
gode is nie?

Maar my eie volk het my
heerlikheid verruil vir
iets wat nutteloos is.^j

- 12** Staar in verbasing hieroor,
o hemele.

Bewe van absolute skok,^j
sê Jehovah,

- 13** 'want my volk het twee
slegte dinge gedoen:

2:10 *Of "eilande".

HFST. 2

a De 8:14, 15

b Nu 13:26, 27
De 6:10, 11
De 8:7-9

c Le 18:24
Nu 35:33
Ps 78:58
Ps 106:38
Jer 16:18

d 1Sa 2:12
Klg 4:13

e Ese 34:7, 8

f 1Kn 18:19
Jer 23:13

g Ese 20:35
Mi 6:2

h Ge 10:2, 4

i Ge 25:13
Ps 120:5
Jer 49:28

j Ps 106:20

Tweede kol.

a Ps 36:9
Jer 17:13
Op 22:1

b Jes 5:29
Jer 4:7

c Jer 46:19

d Jer 43:4, 7
Jer 46:14
Ese 30:18

e 1Kr 28:9
2Kr 7:19, 20

f Jes 30:2
Jes 31:1
Klg 5:6
Ese 16:26
Ese 17:15

g 2Kn 16:7
Ho 5:13

h Jer 4:18

Hulle het my, die bron van
lewende water, verlaat^a
en vir hulle reënputte
gegrawe,^{*}
stukkende reënputte, wat
nie water kan hou nie.'

- 14** 'Is Israel 'n kneg of 'n slaaf
wat in die huishouding
gebore is?

Hoekom is hy dan oorgele-
wer om gevange geneem
en beroof te word?

- 15** Jong leeus* brul teen hom.^b
Hulle het hulle stem laat
hoor.

Hulle het sy land iets skok-
kends gemaak.

Sy stede is aan die brand
gesteek, sodat daar geen
inwoner is nie.

- 16** Die mense van Nof*^c en Tag'-
panes^d maak die kroon
van jou kop kaal.

- 17** Het jy dit nie oor jousef
gebring
deur Jehovah jou God
te verlaat^e
terwyl hy jou op die weg
gelei het nie?

- 18** Hoekom begeer jy dan nou
die weg na Egipte^f
om die waters van Sihor*
te drink?

Hoekom begeer jy die weg
na Assi'rië^g
om die waters van die
Rivier^h te drink?

- 19** Jy moet leer uit jou godde-
loosheid,
en jou eie ontrouheid moet
jou tereg wys.

Jy moet leer en besef hoe
sleg en bitter dit is^h
om Jehovah jou God te
verlaat.

2:13 *Of "uitgekap", waarskynlik uit
rots. **2:15** *Of "Jong maanhaar-
leeus". **2:16** *Of "Memfis". **2:18** *'n
Sytak van die Nylrivier. ^hDie Eufraat-
rivier.

- Jy het my glad nie gevrees nie,^a sê die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte.
- 20** 'Want ek het jou juk lank gelede stukkend gebreek^b en jou boeie afgeruk. Maar jy het gesê: "Ek sal u nie dien nie," want op elke hoë heuwel en onder elke groot boom^c het jy uitgestrek gelê en prostitusie gepleeg.^d
- 21** Ek het jou geplant as 'n rooi wingerdstok van die beste gehalte,^e heeltemal gekweek uit suiwer saad. Hoe het jy dan so agteruitgegaan en in die jong takkies van 'n vreemde wingerdstok verander?^f
- 22** 'Maar al sou jy jou met soda* was en baie seep# gebruik, sal jou skuld nog steeds 'n vlek voor my wees,^g sê die Soewereine Heer Jehovah.
- 23** Hoe kan jy sê: 'Ek het my nie onrein gemaak nie. Ek het nie die Baäls gevolg nie?' Kyk hoe jy jou gedra het in die vallei. Let op wat jy gedoen het. Jy is soos 'n vinnige, jong kameelkoei wat doelloos heen en weer hardloop,
- 24** 'n wildedonkie wat gewoon is aan die wildernis, wat die wind snuif op soek na seksuele bevrediging. Wie kan haar keer wanneer sy op hitte is? Niemand sal hulle moeg hoef te soek na haar nie. In haar seisoen* sal hulle haar vind.

2:22 *Of "alkali". #Of "loog". 2:24 *Lett. "haar maand".

HFST. 2
a Jer 5:22
b Le 26:13
c 1Kn 14:22, 23
Ese 6:13
d Eks 34:15
Ese 16:15, 16
e Eks 15:17
Ps 80:8
Jes 5:1
f Jes 5:4
g Jer 16:17

Tweede kol.

a Jer 18:12
b Jes 2:6
Jer 3:13
c Jer 44:17
d Esr 9:7
e Jes 44:13
f 2Kr 29:6
Jer 32:33
g Rig 10:13-15
Ps 78:34
Ps 106:47
Jes 26:16
Ho 5:15
h De 32:37, 38
i Jer 11:13
j Jer 5:1
Jer 9:2
Da 9:11
k 2Kr 28:20-22
Jes 9:13
l Jes 1:5
Jer 5:3
Sef 3:2

m 2Kr 36:15, 16
Ne 9:26
Han 7:52

- 25** Moenie toelaat dat jou voete kaal word en jou keel droog word nie. Maar jy het gesê: 'Nee, dit is hopeloos!^a Ek het verlief geraak op vreemdelinge,^{*b} en ek sal hulle volg.'^c
- 26** Soos 'n dief verneder word wanneer hy gevang word, so is die huis van Israel verneder, hulle, hulle konings en hulle leiers, hulle priesters en hulle profete.^d
- 27** Hulle sê vir 'n boom: 'U is my vader,'^e en vir 'n klip: 'U het aan my geboorte gegee.' Maar hulle het hulle rug op my gedraai, en nie hulle gesig nie.^f En in die tyd van hulle ramspoed sal hulle sê: 'Staan op en red ons!'^g
- 28** Waar is jou gode nou wat jy vir jou gemaak het?^h Laat hulle opstaan as hulle jou in die tyd van jou ramspoed kan red, want jou gode het so baie soos jou stede geword, o Juda.ⁱ
- 29** 'Hoekom hou julle aan om 'n saak teen my te maak? Hoekom het julle almal teen my in opstand gekom?'^j vra Jehovah.
- 30** Ek het julle kinders geslaan, maar dit het nie gehelp nie.^k Hulle het geen dissipline aanvaar nie.^l Julle eie swaard het julle profete verslind,^m soos 'n leeu wat aanval.
- 31** O geslag, skenk aandag aan die woord van Jehovah.

2:25 *Of "vreemde gode".

Het ek soos 'n wildernis vir
Israel geword
of 'n land van onderdruk-
kende duisternis?
Hoekom het my volk gesê:
'Ons swerf vryelik rond.
Ons sal nie meer na u toe
kom nie?''^a

- 32** Kan 'n maagd haar juwele
vergeet,
of 'n bruid haar bors-
bande?''
En tog het my eie volk my
baie dae lank vergeet.^b
- 33** Met hoeveel vaardigheid,
o vrou, berei jy jou weg
voor om liefde te soek!
Jy is geoefen in die weë van
goddeloosheid.^c
- 34** Selfs jou klere is beplek
met die bloed van die
onskuldige armes,^d
al was hulle nie besig om
in te breek nie.
Hulle bloed is op al jou
klere.^e
- 35** Maar jy sê: 'Ek is onskuldig.
Hy is tog seker nie meer
kwaad vir my nie.'
Nou bring ek 'n oordeel
teen jou
omdat jy sê: 'Ek het nie
gesondig nie.'
- 36** Hoekom dink jy niks daar-
van om heelyd te veran-
der nie?
Jy sal ook oor Egipte
skaam kry,^f
net soos jy oor Assi'rië
skaam gekry het.^g
- 37** Ook om hierdie rede sal jy
met jou hande op jou kop
in skaamte uitgaan,^h
want Jehovah het dié ver-
werp in wie jy vertrou
gestel het.
Hulle sal jou nie suksesvol
maak nie."

HFST. 2

a De 32:15

b Ps 106:21
Jes 17:10
Jer 18:15
Ho 8:14

c 2Kr 33:9

d 2Kn 21:16
Ps 106:38
Jes 10:1, 2
Mt 23:35

e Eks 22:2

f Jes 30:3
Jer 37:7

g 2Kr 28:20, 21

h 2Sa 13:19

Tweede kol.

HFST. 3

a Jes 24:5
Jer 2:7b Jer 2:20
Ese 16:28, 29c Ese 16:16
Ese 20:28d Le 26:19
Jer 14:4
Am 4:7

e Jer 6:15

f Jer 2:2

g Mi 2:1
Mi 7:3

h 2Kn 22:1

i Ese 20:28
Ho 4:13

3 Mense vra: "As 'n man sy
vrou wegstuur en sy hom
verlaat en 'n ander man s'n
word, mag hy dan nog na haar
toe terugkeer?"

Is daardie land nie heelte-
mal besoedel nie?^a

"Jy het met baie mans
prostitusie gepleeg,^b
en wil jy nou na my toe te-
rugkeer?" sê Jehovah.

2 "Kyk op na die kaal hewels.

Waar is jy nie verkrag nie?

Jy het langs die paaie vir

hulle gesit en wag,

soos 'n swerwer* in

die wildernis.

Jy hou aan om die land

te besoedel

met jou prostitusie en jou
goddeloosheid.^c

3 Daarom word die reënbuie
teruggehoud^d

en is daar geen reën in
die lente nie.

Jy het die skaamtelose uit-
drukking* van 'n getroude
vrou wat prostitusie pleeg.

Jy weier om skaam te voel.^e

4 Maar nou roep jy na my
toe uit:

'My Vader, u is my vriend
van jongs af!'

5 Moet u vir ewig kwaad bly
of altyd 'n wrok koester?

Dit is wat jy sê,

maar jy hou aan om soveel
slegte dinge te doen as
wat jy kan."^g

6 In koning Josi'a^h se tyd
het Jehovah vir my gesê: "Het
jy gesien wat die ontroue Is-
rael gedoen het? Sy het gegaan
om op elke hoë berg en on-
der elke groot boom prostitu-
sie te pleeg.ⁱ **7** Selfs nadat sy
al hierdie dinge gedoen het, het
ek aanhoudend gesê dat sy na

3:2 *Lett. "Arabier". **3:3** *Lett. "die
voorkop".

my toe moet terugkeer,^a maar sy het nie teruggekeer nie, en Juda het haar bedrieglike suster heelyd dopgehou.^b **8** Toe ek dit sien, het ek die ontroue Israel met 'n skeibrief^c weggestuur omdat sy egbreuk gepleeg het.^d Maar haar ontroue suster, Juda, het nie bang geword nie. Sy het ook uitgegaan en prostitusie gepleeg.^e **9** Sy het haar prostitusie nie ernstig opgeneem nie, en sy het aangehou om die land te besoedel en om egbreuk te pleeg met klippe en met bome.^f **10** Ten spyte van alles het haar bedrieglike suster, Juda, nie met haar hele hart na my toe teruggekeer nie. Sy het net gemaak asof sy dit doen,' sê Jehovah."

11 Jehovah het toe vir my gesê: "Ontroue Israel het getoon dat sy regverdiger is as die bedrieglike Juda.^g **12** Gaan verkondig hierdie woorde aan die noorde:^h

"'Keer terug, o ontroue Israel,' sê Jehovah.ⁱ "'Ek sal nie kwaad na julle kyk nie,^j want ek is lojaal," sê Jehovah. "'Ek sal nie vir ewig kwaad bly nie. **13** Maar erken net jou skuld, want jy het teen Jehovah jou God in opstand gekom. Jy het aangehou om jou gunste* onder vreemdelinge^k te verstrooi, onder elke groot boom, maar jy wou nie doen wat ek sê nie," sê Jehovah."

14 "Keer terug, ontroue kinders," sê Jehovah. "Want ek het julle ware meester* geword, en ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n familie, en ek sal julle na Sion bring.^k **15** Ek sal vir julle herders gee na my eie hart,^l en hulle sal julle met kennis en insig voed. **16** In daar-

3:13 *Lett. "weë". #Of "vreemde gode". 3:14 *Of moontlik "julle man".

HFST. 3

a 2Krn 17:13
2Kr 30:6
Ho 14:1b Ese 16:46
Ese 23:2, 4

c De 24:1

d Ese 23:4, 5, 9
Ho 2:2
Ho 9:15e 2Krn 17:19
Ese 23:4, 11f Jes 57:5, 6
Jer 2:27g Ese 16:51
Ese 23:4, 11h 2Krn 17:6
Jer 23:8i Jer 4:1
Ese 33:11
Ho 14:1

j Ho 11:8, 9

k Jer 23:3

l Jer 23:4
Ese 34:23

Tweede kol.

a Ho 1:10

b Ps 87:3
Ese 43:7c Jes 2:2, 3
Jes 56:6, 7
Jes 60:3
Mi 4:1, 2
Sag 2:11
Sag 8:22, 23d Jer 50:4
Ese 37:19
Ho 1:11e 2Kr 36:23
Esr 1:3
Am 9:15

f Ese 20:6

g Jes 48:8
Ho 3:1
Ho 5:7h Jes 17:10
Ho 8:14
Ho 13:6

i Ho 14:1, 4

die dae sal julle baie word en vrug dra in die land," sê Jehovah.^a "Hulle sal nie meer sê: 'Die ark van die verbond van Jehovah!' nie. Dit sal nie in die hart opkom nie, en hulle sal ook nie daaraan dink of daarna verlang nie, en dit sal nie weer gemaak word nie. **17** In daardie tyd sal hulle Jerusalem die troon van Jehovah noem,^b en al die nasies sal in Jerusalem bymekaarbring word om die naam van Jehovah te loof,^c en hulle sal nie meer hardkoppig wees en hulle goddelose hart volg nie."

18 "In daardie dae sal hulle saam loop, die huis van Juda langs die huis van Israel,^d en hulle sal saam uit die land van die noorde kom na die land wat ek as 'n erfdeel aan julle voorvaders gegee het.^e **19** En ek het gedink aan hoe ek jou 'n plek by die seuns gegee het en die begerlike land aan jou gegee het, die pragtigste erfdeel onder die nasies!^f Ek het ook gedink dat julle vir my sou sê: 'My Vader!' en dat julle nie sou ophou om my te volg nie. **20** 'Maar net soos 'n ontroue vrou haar man* verlaat, so was julle, o huis van Israel, ook ontrou aan my,^g sê Jehovah."

21 Op die kaal heuwels word 'n geluid gehoor, die gehuil en die gesmeek van die Israeliete, want hulle het 'n verkeerde weg ingeslaan, en hulle het Jehovah hulle God vergeet.^h

22 "Keer terug, julle ontroue kinders. Ek sal julle van julle ontrouheid genees."ⁱ "Hier is ons! Ons het na u toe gekom,

3:19 *Lett. "van die leërmagte van die nasies". 3:20 *Lett. "metgesel".

want u, o Jehovah, is
ons God.^a

- 23** Toe ons op die heuwels en
op die berge 'n lawaai ge-
maak het, het ons onself
bedrieg.^b

Ja, by Jehovah ons God is
die redding van Israel.^c

- 24** Maar die skandelige ding*
het van ons jong dae af die
harde werk van ons voor-
vaders verteer,^d

hulle kleinvee en hulle
beeste,
hulle seuns en hulle
dogters.

- 25** Laat ons gaan lê in ons
skaamte,
en laat ons skande ons
bedek,
want ons het teen Jehovah
ons God gesondig,^e
ons en ons vaders, van ons
jong dae af tot vandag toe,^f
en ons het nie die stem van
Jehovah ons God gehoor-
saam nie.”

- 4** “As jy terugkeer, o Israel,”
sê Jehovah,
“as jy na my toe terugkeer
en as jy jou walglike afgode
voor my verwyder,
sal jy nie 'n vlugteling
wees nie.^g

- 2** En as jy in waarheid, gereg-
tigheid en regverdigheid
sweer en sê:

‘So waar as wat Jehovah
lewe!’

dan sal die nasies 'n seën vir
hulleself deur hom verkry,
en hulle sal oor hom spog.”^h

- 3** Want dit is wat Jehovah vir
die manne van Juda en vir Je-
rusalem sê:

“Ploeg vir julle bewerkbare
grond,
en moenie aanhou om tus-
sen dorings te saai nie.ⁱ

3:24 *Of “die skandelige god”.

HFST. 3

a Jer 31:18
Ho 3:5

b Jes 65:7

c Jes 12:2

d Ho 9:10

e Jer 2:19

f Esr 9:7
Ps 106:7

HFST. 4

g Jer 3:22
Jl 2:12, 13

h Jes 65:16

i Ho 10:12

Tweede kol.

a Jer 9:25, 26

b Klg 4:11

c Jer 6:1

d Jer 35:11

e Jer 1:14
Jer 21:7
Jer 25:9

f 2Kn 24:1
2Kn 25:1
Jer 5:6
Jer 50:17

g Ese 26:7

h Jes 5:9
Jes 6:11
Jer 2:15
Jer 9:11

i Jer 6:26

j 2Kn 25:5

k Jes 29:9, 10

- 4** Besny julle vir Jehovah,
en verwyder die voorhuid
van julle hart,^a
o manne van Juda en inwo-
ners van Jerusalem,
sodat my woede nie weens
julle slegte dade
soos 'n vuur opvlam en
brand
sonder dat enigiemand dit
kan blus nie.”^b
- 5** Vertel dit in Juda en verkon-
dig dit in Jerusalem.
Skree en blaas op 'n horing
deur die hele land.^c
Roep hard uit en sê: “Kom
bymekeer
en laat ons na die versterkte
stede vlug.^d
- 6** Rig 'n teken* op wat die
rigting na Sion wys.
Soek skuiling, en moenie
stilstaan nie,”
want ek bring rampspoed
uit die noorde,^e 'n groot
ineenstorting.
- 7** Hy het soos 'n leeu uit
sy bos verskyn.^f
Die vernietiger van nasies
is op pad.^g
Hy het uit sy plek gekom om
jou land iets skokkends te
maak.
Jou stede sal verwoes word,
sonder 'n enkele inwoner.^h
- 8** Trek dus saklinne aan,ⁱ
treur* en huil,
want die brandende woede
van Jehovah is nog steeds
teen ons.
- 9** “Op daardie dag,” sê Jeho-
vah, “sal die koning moed
verloor.”^j
en ook die leiers.^k
Die priesters sal geskok
wees, en die profete sal
verbaas wees.”^k
- 4:6** *Of “seinpaal”. **4:8** *Of “slaan op
julle bors”. **4:9** *Lett. “sal die koning
se hart ingee”. *Lett. “en die hart van
die leiers”.

10 Toe het ek gesê: “Ag, Soewereine Heer Jehovah! U het hierdie volk en Jerusalem heeltemal bedrieg^a deur te sê: ‘Julle sal vrede hê,’ terwyl die swaard teen ons keel is.”^b

11 In daardie tyd sal daar vir hierdie volk en vir Jerusalem gesê word:

“n Verskroeiende wind van die dorre heuwels van die woestyn

sal teen die dogter van* my volk waai.

Dit kom nie om kaf weg te waai of om graan te suiwer nie.

12 Op my bevel waai die wind met al sy krag van hierdie plekke af.

Nou sal ek oordele teen hulle uitspreek.

13 Kyk! Hy sal soos reënwolke kom,

en sy strydwaaens is soos 'n stormwind.^c

Sy perde is vinniger as arende.^d

Dit is verby met ons, want ons is verwoes!

14 Was jou hart skoon van goddeloosheid, o Jerusalem, sodat jy gered kan word.^e

Hoe lank sal jy goddelose gedagtes bly dink?

15 Want 'n stem vertel die nuus uit Dan,^f

en dit verkondig rampspoed uit die berge van E'fraim.

16 Vertel dit, ja, aan die nasies, verkondig dit teen Jerusalem.”

“Wagte* kom uit 'n ver land, en hulle sal hulle stem laat hoor teen die stede van Juda.

4:11 *Digterlike verpersoonliking, moontlik om jammerte of simpatie uit te druk. **4:16** *D.w.s. dié wat die stad dophou om vas te stel wanneer om aan te val.

HFST. 4

a Ese 14:9

b Jer 6:13, 14
Jer 14:13
Jer 23:16, 17

c Jes 5:26, 28

d De 28:49, 50
Klg 4:19
Hab 1:8

e Jes 1:16
Ese 18:31

f Jer 8:16

Tweede kol.

a 2Kn 25:1, 2

b Jes 63:10
Ese 2:3

c Ps 107:17

d Sef 1:15, 16

e Jer 10:20

f Jer 6:1

g De 32:6
Jer 5:21

h Jer 9:10

17 Hulle kom van alle kante teen haar soos wagte van die oop veld,^a omdat sy teen my in opstand gekom het,^b sê Jehovah.

18 “Jy sal die gevolge dra van jou weë en dade.^c Hoe bitter is jou rampspoed, want dit kom selfs tot by jou hart!”

19 O my angs,* my angs! Ek voel groot pyn in my hart.^d

My hart klop hewig binne-in my.

Ek kan nie stilbly nie, want ek het die geluid van die horing gehoor, die alarmsein van oorlog.^{△d}

20 Berigte word ontvang van die een ramp ná die ander, want die hele land is vernietig.

Skielik is my eie tente vernietig, in 'n oomblik my tentdoeke.^e

21 Hoe lank sal ek die teken* nog sien en die geluid van die horing nog hoor?^f

22 “Want my volk is dwaas.^g Hulle steur hulle nie aan my nie.

Hulle is dom kinders, sonder enige begrip.

Hulle is slim* genoeg om te doen wat sleg is, maar hulle weet nie hoe om te doen wat goed is nie.”

23 Ek het na die land gekyk en gesien dat dit leeg en verlate is.^h

4:19 *Lett. “my ingewande”. ^hLett. “in die wande van my hart”. [△]Of moontlik “die geluid van die oorlogskreet”. **4:21** *Of “seinpaal”. **4:22** *Of “wys”.

- Ek het na die hemel gekyk,
en daar was nie meer lig
nie.^a
- 24** Ek het na die berge gekyk en
gesien dat hulle bewe
en dat die heuwels skud.^b
- 25** Ek het gekyk en gesien dat
daar niemand is nie
en dat al die voëls van die
hemel gevlug het.^c
- 26** Ek het gekyk en gesien dat
die vrugteboord 'n wilder-
nis geword het
en dat al die stede daarvan
afgebreek is.^d
Dit was as gevolg van
Jehovah,
as gevolg van sy brandende
woede.
- 27** Want dit is wat Jehovah sê:
“Die hele land sal verlate
word,^e
maar ek sal nie 'n algehele
vernietiging veroorsaak
nie.
- 28** Om hierdie rede sal die
land treur^f
en sal die hemel daar bo
donker word.^g
Dit is omdat ek gepraat het,
omdat ek besluit het,
en ek sal nie van gedagte
verander* of omdraai nie.^h
- 29** Wanneer die perderuiters
en die boogskutters ge-
hoor word,
vlug die hele stad.ⁱ
Hulle gaan in die digte
bosse in,
en hulle klim op die rotse.^j
Elke stad is verlate,
en geen mens woon daarin
nie.”
- 30** Wat sal jy doen noudat jy
verwoes is?
Jy het altyd helderrooi klere
gedra
en jou met goue juwele
versier

4:28 *Of “spyt voel”.

HFST. 4

- a Jes 5:30
Jl 2:31
- b Jes 5:25
- c Sef 1:3
- d De 29:22, 23
- e Le 26:32
2Kr 36:20, 21
Jes 6:11
Jer 10:22
Ese 33:28
- f Jes 24:4
Jl 1:10
- g Jes 5:30
Jl 2:30, 31
- h 2Kn 23:26
Ese 24:14
- i 2Kn 25:4
- j Jes 2:19

Tweede kol.

- a Ese 23:22, 26
- b Klg 1:2
- c Klg 1:17

HFST. 5

- d Ese 22:29
Mi 7:2
- e Jes 48:1
- f 2Kr 16:9
- g 2Kr 28:20–22
Jer 2:30
- h Sag 7:11

- i Ps 50:17
Jes 42:24, 25
Ese 3:7
Sef 3:2

en jou oë met swart verf*
vergroot.

Maar jy het jou verniet mooi
gemaak,^a

want diegene wat jou vurig
begeer het, het jou ver-
werp.

Hulle wil jou nou
doodmaak.^b

- 31** Want ek het die gekreun ge-
hoor soos dié van 'n vrou
wat in pyn is,*
die benoudheid soos dié van
'n vrou wat aan haar eer-
ste kind geboorte gee,
die stem van die dogter van
Sion wat na asem bly snak.
Terwyl sy haar palms uit-
strek, sê sy:^c

“Dit is verby met my, want
ek is uitgeput as gevolg
van die moordenaars!”

- 5** Gaan deur die strate van
Jerusalem.

Kyk rond en let op.
Deursoek die openbare
pleine om te sien
of julle iemand kan vind wat
met geregtigheid optree,^d
iemand wat probeer om

getrou te wees,
en ek sal die stad vergewe.

- 2** Selfs al sê hulle: “So waar
as wat Jehovah lewe!”
sou hulle nog steeds sweer
by wat vals is.^e
- 3** O Jehovah, soek u oë nie na
getrouheid nie?^f
U het hulle geslaan, maar
dit het geen uitwerking op
hulle gehad nie.*
U het hulle vernietig, maar
hulle het geweier om dissi-
pline te aanvaar.^g
Hulle het hulle gesigte har-
der as 'n rots gemaak,^h
en hulle het geweier om om
te draai.ⁱ

4:30 *Of “oogskadu”. 4:31 *Of
moontlik “n siek vrou”. 5:3 *Lett.
“hulle het nie swak geword nie”.

4 Maar ek het vir myself gesê:
“Hulle is sekerlik eenvoudige mense.

Hulle tree dwaas op, want hulle ken nie die weg van Jehovah,
die wet van hulle God nie.

5 Ek sal na die belangrike manne gaan en met hulle praat,
want hulle moes ag geslaan het op die weg van Jehovah,
die wet van hulle God.^a
Maar hulle almal het die juk gebreek
en die bande stukkend geskeur.”

6 Daarom val 'n leeu uit die woud hulle aan
en bly 'n wolf van die woestyntvlaktes hulle verwoes
en lê 'n luiperd by hulle stede op die loer.
Almal wat daaruit gaan, word verskeur.
Want hulle oortredings is baie,
en so ook hulle dade van ontrouheid.^b

7 Hoe kan ek jou hiervoor vergewe?
Jou kinders het my verlaat, en hulle sweer by iets wat nie God is nie.^c
Ek het in hulle behoeftes voorsien,
maar hulle het aangehou om egbreuk te pleeg,
en hulle het na die huis van 'n prostituut gestroom.

8 Hulle is soos gretige perde, vol seksuele begeerte,
wat elkeen na 'n ander man se vrou runnik.^d

9 “Moet ek hulle nie straf vir hierdie dinge nie?” sê Jehovah.
“Moet ek nie wraak neem op so 'n nasie nie?”^e

HFST. 5

a Mi 3:1

b Esr 9:6
Jes 59:12
Ese 23:19

c Jos 23:6, 7
Jer 2:11
Jer 12:16
Sef 1:4, 5

d Ese 22:11

e Le 26:25
Jer 9:9
Jer 44:22
Na 1:2

Tweede kol.

a Le 26:44
Jer 46:28

b Jes 48:8
Jer 3:20
Ho 5:7
Ho 6:7

c 2Kr 36:15, 16
Jes 28:15

d Jer 23:17

e Jer 1:9

f Jer 23:29

g Jer 1:15
Jer 4:16
Jer 25:9
Ese 7:24
Hab 1:6

h De 28:49, 50

10 “Kom op teen die terrasse van haar wingerd en verwoes dit,
maar moet dit nie heeltemal vernietig nie.^a
Verwyder haar jong takkies wat uitsprei,
want hulle behoort nie aan Jehovah nie.

11 Want die huis van Israel en die huis van Juda
was uiters bedrieglik teenoor my,” sê Jehovah.^b

12 “Hulle het geweier om Jehovah te erken, en hulle bly sê:

‘Hy sal niks doen nie.’^{*c}
Geen rampspoed sal oor ons kom nie.

Ons sal nie swaard of hongersnood sien nie.’^d

13 Wat die profete sê, is soos wind,
en die woord* is nie in hulle nie.

Laat dit met hulle gebeur!”

14 Daarom sê Jehovah, die God van die leërmagte:
“Omdat hierdie manne dit sê,
maak ek my woorde 'n vuur in jou mond,^e

en hierdie volk is die hout, en dit sal hulle verteer.”^f

15 “Kyk, ek bring teen julle 'n nasie van ver af, o huis van Israel,^g sê Jehovah.
“Dit is 'n gevestigde nasie. Dit is 'n nasie wat al lank bestaan,
'n nasie wie se taal julle nie ken nie
en wie se spraak julle nie kan verstaan nie.”^h

16 Hulle pylkoker is soos 'n oop graf.
Hulle is almal vegters.

5:12 *Of moontlik “Hy bestaan nie”.

5:13 *D.w.s. God se woord.

17 Hulle sal julle brood en julle oes verslind.^a

Hulle sal julle seuns en julle dogters verslind.

Hulle sal julle kleinvee en julle beeste verslind.

Hulle sal julle wingerdstokke en julle vyebome verslind.

Hulle sal julle versterkte stede waarop julle vertrou, met die swaard vernietig.”

18 “Maar selfs in daardie dae,” sê Jehovah, “sal ek julle nie heeltemal vernietig nie.”^b

19 En wanneer hulle vra: ‘Hoekom het Jehovah ons God al hierdie dinge aan ons gedoen?’ moet jy hulle antwoord: ‘Net soos julle my verlaat het om ’n vreemde god in julle land te dien, so sal julle vreemdelinge dien in ’n land wat nie julle s’n is nie.’”^c

20 Vertel die volgende in die huis van Jakob en verkondig dit in Juda:

21 “Hoor hier, o dwase en onverstandige volk:”^d

Hulle het oë, maar hulle kan nie sien nie.^e

Hulle het ore, maar hulle kan nie hoor nie.^f

22 ‘Vrees julle my nie?’ sê Jehovah.

‘Behoort julle nie voor my te bewe nie?’

Dit is ek wat die sand as die grens vir die see gestel het,

’n permanente wetsvoorskrif waar die see nie kan verbygaan nie.

Al rol die golwe in, kan hulle nie die oorhand kry nie.

Al word hulle onstuimig, kan hulle nog steeds nie daar verbygaan nie.^g

HFST. 5

a Le 26:16

b Jer 4:27

c De 4:27
De 28:48
De 29:24, 25
2Kr 7:21, 22

d Jer 4:22

e Jes 59:10

f Jes 6:9
Ese 12:2
Mt 13:13

g Job 38:8, 11
Ps 33:7
Spr 8:29

Tweede kol.

a Ps 95:10
Jer 11:8

b De 11:14

c De 28:23, 24
Jer 3:3

d Am 8:5
Mi 6:11, 12

e Jes 1:23

f Ps 82:2

23 Maar hierdie volk is hardkoppig en het ’n opstandige hart.

Hulle het weggedraai en hulle eie weg ingeslaan.^a

24 En hulle weier om in hulle hart te sê:

“Laat ons nou Jehovah ons God vrees,

die Een wat die reën in die regte seisoen gee,

die herfsreën sowel as die lentereën,

die Een wat die vasgestelde weke van die oes vir ons bewaar.”^b

25 Julle eie oortredings het gekeer dat hierdie dinge gebeur.

Julle eie sondes het die goeie van julle af weggehou.^c

26 Want onder my volk is daar goddelose mense.

Hulle bly loer, soos wanneer voëlvangers hurk.

Hulle stel ’n dodelike strik. Hulle vang mense.

27 Soos ’n hok vol voëls, so is hulle huise vol bedrog.^d

Daarom het hulle magtig en ryk geword.

28 Hulle het vet en glad geword.

Hulle loop oor van wat sleg is.

Hulle ignoreer die regspraak van die weeskind,^e

sodat hulle sukses kan behaal,

en hulle weier om die armes regverdig te behandel.”^f

29 “Moet ek hulle nie straf vir hierdie dinge nie?” sê Jehovah.

“Moet ek nie wraak neem op so ’n nasie nie?

30 Iets verskrikliks en iets aakligs het in die land gebeur:

5:21 *Lett. “dwase volk sonder hart”.

31 Die profete se profesieë is leuens,^a en die priesters oorheers deur hulle eie gesag. En my volk hou daarvan,^b maar wat sal julle doen wanneer die einde kom?"

6 Soek skuiling, o kinders van Benjamin, weg van Jerusalem af. Blaas op die horing^c in Teko'a.^d Laat 'n vuursein oor Bet-Hakke'rem opgaan! Want rampspoed dreig vanuit die noorde, 'n groot ramp.^e

2 Die dogter van Sion lyk soos 'n pragtige en delikate vrou.^f

3 Die herders en hulle kuddes sal kom.

Hulle sal hulle tente reg rondom haar opslaan,^g elkeen sal die kudde wat in sy sorg is, laat wei.^h

4 "Maak reg vir* oorlog teen haar!

Staan op, en laat ons haar in die middel van die dag aanval!"

"Hoe jammer, want die dag is al amper verby, want die aandskaduwees word al hoe langer!"

5 "Staan op, en laat ons in die nag aanval en haar versterkte torings vernietig."ⁱ

6 Want dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:

"Kap hout en rig 'n beleëringswal teen Jerusalem op.^j

Hierdie stad moet gestraf word.

Daar is niks anders as onderdrukking in haar nie.^k

7 'n Reënput hou water koel,*

6:4 *Lett. "Heilig". 6:7 *Of "vars".

HFST. 5

a Jer 14:14
Klg 2:14
Ese 13:6

b Jes 30:10
Joh 3:19

HFST. 6

c Jer 4:5

d 2Kr 11:5, 6
Am 1:1

e Jer 1:14
Jer 10:22

f Jes 3:16

g 2Kn 25:1

h Jer 4:16, 17

i 2Kr 36:17, 19
Am 2:5

j Ese 21:21, 22

k 2Kn 21:16
Ese 7:23

Tweede kol.

a Ese 7:11
Mi 2:2

b Ese 23:18

c Le 26:34
Jer 9:11

d Jes 6:10
Han 7:51

e 2Kr 36:15, 16
Jer 20:8

f Jer 20:9

g Jer 18:21

h Ese 9:6

en net so hou sy haar goddeloosheid koel.*

Geweld en vernietiging word in haar gehoor.^a

Daar is heeltyd siekte en plaag voor my.

8 Slaan ag op die waarskuwing, o Jerusalem, of ek sal van jou af wegdraai omdat jy vir my walglik is.^b

Ek sal jou verlate maak, 'n land sonder inwoners."^c

9 Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:

"Hulle sal die oorblyfsel van Israel deeglik oes, soos die laaste druiwe op 'n wingerdstok.

Laat jou hand weer daaroor gaan, soos iemand wat druiwe van die wingerdstok afpluk."

10 "Met wie moet ek praat en vir wie moet ek waarsku?

Wie sal luister?

Hulle ore is toe,* en daarom kan hulle nie aandag skenk nie.^d

Hulle het die woord van Jehovah verwerp,^e

en hulle vind geen vreugde daarin nie.

11 Daarom is ek vol van die woede van Jehovah, en ek is moeg om dit in te hou."^f

"Gooi dit uit op die kind in die straat,^g

op die groepe jong mans wat bymekaar is.

Hulle sal almal gevang word, 'n man saam met sy vrou,

die ou mans sowel as die bejaarde mans."^h

12 Hulle huise sal aan ander gegee word,

6:10 *Lett. "nie besny nie". 6:11 *Lett. "dié wat vol van dae is".

asook hulle landerye en hulle vrouens.^a
Ek sal my hand uitsteek teen die inwoners van die land," sê Jehovah.

13 "Want hulle almal maak oneerlike wins,^b van die kleinste tot die grootste. Hulle almal pleeg bedrog, van die profeet tot die priester.^c

14 Hulle probeer om die wonde* van my volk op 'n oppervlakkige manier te genees deur te sê: 'Daar is vrede! Daar is vrede!' terwyl daar geen vrede is nie.^d

15 Kry hulle skaam oor die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het?

Hulle kry glad nie skaam nie!
Hulle weet nie eers hoe om verneder te voel nie!^e
Daarom sal hulle val onder dié wat reeds geval het.
Wanneer ek hulle straf, sal hulle struikel," sê Jehovah.

16 Dít is wat Jehovah sê:
"Staan by die kruispaaië en kyk.
Vra oor die paaie van lank gelede, vra waar die goeie weg is, en volg dit,^f
en vind rus vir julleself."
Maar hulle sê: "Ons sal dit nie volg nie."^g

17 "En ek het wagte aangestel^h wat gesê het:
'Skenk aandag aan die geluid van die horing!'"ⁱ
Maar hulle het gesê: "Ons sal nie aandag skenk nie."^j

18 "Hoor dus, o nasies!
En weet, o vergadering,
wat met hulle sal gebeur.

HFST. 6

a De 28:30
Jer 8:10
Klg 5:11
Sef 1:13

b Ese 22:12

c Jer 2:8
Jer 8:10-12
Jer 23:11
Mi 3:5, 11
Sef 3:4

d Jer 14:13
Jer 23:16, 17
Ese 13:10
1Te 5:3

e Jer 3:3

f Jes 30:21

g Jer 18:15

h Jer 25:4
Ese 3:17
Hab 2:1

i Jes 58:1

j Sag 7:11

Tweede kol.

a De 4:25, 26
Da 9:12

b Jes 1:11
Jes 66:3
Jer 7:21
Am 5:21

c 2Kr 36:17
Klg 2:21

d Jer 1:14
Jer 25:9

e Hab 1:8

f Ese 21:7

19 Luister, o aarde!
Ek bring rampspoed oor hierdie volk,^a
en dit is die gevolg van hulle eie planne,
want hulle het geen aandag aan my woorde geskenk nie
en hulle het my wet* verwerp."

20 "Wat maak dit vir my saak dat jy wierook uit Skeba bring
en geurige riete uit 'n verland?
Julle heelbrandoffers is nie aanvaarbaar nie,
en julle offerandes is nie vir my aangenaam nie."^b

21 Daarom sê Jehovah:
"Kyk, ek sit struikelblokke voor hierdie volk,
en hulle sal daarvoor struikel,
pa's saam met seuns,
'n buurman en sy vriend,
en hulle sal almal sterf."^c

22 Dít is wat Jehovah sê:
"Kykl 'n Volk kom uit die land van die noorde,
en 'n groot nasie sal opstaan uit die mees afgeleë dele van die aarde."^d

23 Hulle sal die boog en die spies gryp.
Hulle is wreed en sal geen genade hê nie.
Hulle stem sal klink soos die gedruis van die see,
en hulle ry op perde.^e
Hulle trek in gevegsformasie op teen jou soos 'n soldaat, o dogter van Sion."

24 Ons het die berig daarvoor gehoor.
Ons hande word slap,^f
ons het paniekbevange geword,

6:14 *Of "breek".

6:19 *Of "onderrigting".

- en ons het pyn* soos 'n vrou wat geboorte gee.^a
- 25** Moenie in die veld uitgaan nie, en moenie op die pad loop nie, want die vyand het 'n swaard. Oral is daar vrees.
- 26** O dogter van my volk, trek saklinne aan^b en rol in die as. Treur asof jy jou enigste kind verloor het, met 'n bittere gehuil,^c want die vernietiger sal skielik teen ons kom.^d
- 27** "Ek het jou* 'n metaaltoets-er onder my volk gemaak, iemand wat deeglik ondersoek instel. Jy moet oplet en hulle weg ondersoek.
- 28** Hulle is almal die hardkop-pigste mense,^e en hulle loop rond as lasteraars.^f Hulle is soos koper en yster. Hulle is almal korrupt.
- 29** Die blaasbalk is geskroei. Uit die vuur daarvan kom lood. Daar word heeltyd intensief gelouter, maar dit is verniet.^g En dié wat sleg is, is nie afgeskei nie.^h
- 30** Mense sal hulle beslis weg-goosilwer noem, want Jehovah het hulle verwerp."ⁱ
- 7** Dít is die boodskap wat Jeremia van Jehovah ontvang het: **2** "Staan in die poort van die huis van Jehovah en verkondig hierdie boodskap daar: 'Hoor die woord van Jehovah, almal van Juda wat deur hier-
- HFST. 6
a Jer 4:31
b Jer 4:8
c Klg 1:2, 16
d Jer 15:8
e Jes 30:1
Jes 48:4
Jer 5:23
f Jer 9:4
g Jer 9:7
Ese 22:20
h Ese 24:13
i Jer 14:19
Klg 5:22
- Tweede kol.
- HFST. 7
a Jer 26:13
b Mi 3:11
c Jer 21:12
Jer 22:3
d De 24:17
Ps 82:3
Sag 7:9, 10
Jak 1:27
e De 8:19
f Jes 30:10
Jer 5:31
Jer 14:14
g Jes 3:14
Mi 2:2
h Jer 5:2
i Jer 11:13
j Mt 21:13
Mr 11:17
Lu 19:45, 46
k Jos 18:1

die poorte ingaan om voor Jehovah neer te buig. **3** Dít is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: "Verander julle weë en julle optrede, en ek sal julle toelaat om in hierdie plek te bly woon.^a **4** Moenie julle vertroue in bedrieglike woorde stel en sê: 'Dit* is die tempel van Jehovah, die tempel van Jehovah, die tempel van Jehovah!' nie.^b **5** Want as julle julle weë en julle optrede werklik verander, as julle regverdig oordeel in sake tussen 'n man en sy naaste,^c **6** as julle nie uitlanders, weeskinders* en weduwees onderdruk nie,^d as julle nie onskuldige mense in hierdie plek doodmaak nie,^e en as julle nie agter ander gode aanloop tot julle eie nadeel nie,^e **7** dan sal ek julle toelaat om in hierdie plek te bly woon, in die land wat ek vir altyd* aan julle voorvaders gegee het.'"^f

8 "Maar julle stel julle vertroue in bedrieglike woorde^f – dit sal hoegenaamd geen voordeel bring nie. **9** Kan julle steel,^g moord pleeg, egbreuk pleeg, valslik sweer,^h offerandes* vir Baälⁱ bring en ander gode volg wat julle nie geken het nie, **10** en dan voor my kom staan in hierdie huis wat my naam dra en sê: 'Ons sal gered word,' hoewel julle al hierdie afskuwelike dinge doen? **11** Het hierdie huis wat my naam dra, 'n skuilplek vir rowers in julle oë geword?^j Ek het dit met my eie oë gesien," sê Jehovah.

12 "Maar gaan nou na my plek in Silo,^k wat ek voorheen

7:4 *Lett. "Hulle". Verwys na al die geboue van die tempel. **7:6** *Lett. "vaderlose seuns". ^aOf "onskuldige bloed . . . vergiet nie". **7:7** *Of "van ewigheid tot ewigheid". **7:9** *Of "offerrook".

vir my naam uitgekies het,^a en gaan kyk wat ek daaraan gedoen het as gevolg van die sleghed van my volk Israel.^b **13** Maar julle het al hierdie dinge bly doen,' sê Jehovah, 'en hoewel ek keer op keer* met julle gepraat het, het julle nie geluister nie.^c Ek het julle bly roep, maar julle het nie geantwoord nie.^d **14** Net soos ek aan Silo gedoen het,^e sal ek doen aan die huis wat my naam dra^f en waarop julle vertrou,^g en aan hierdie plek wat ek aan julle en julle voorvaders gegee het. **15** Ek sal julle voor my uitdryf, net soos ek al julle broers, al die nakomelinge van E'fraim, uitgedryf het.'^h

16 "Wat jou betref, moenie vir hierdie volk bid nie. Moenie uitroep of 'n gebed doen of my smeek om hulle onthaltwe nie,ⁱ want ek sal nie na jou luister nie.^j **17** Sien jy nie wat hulle in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem doen nie? **18** Die kinders tel hout op, die vaders steek die vuur aan en die vrouens knie deeg om offerkoeke vir die Koningin van die Hemel*^k te maak, en hulle gooi drankoffers uit vir ander gode om my aanstoot te gee.^l **19** 'Maar is dit vir my wat hulle seermaak?*' vra Jehovah. 'Maak hulle nie hulleself seer nie en steek hulle nie hulleself in die skande nie?'^m **20** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Kyk! My groot woede sal oor hierdie plek uitgestort word,ⁿ oor mens en dier, oor die bome van die veld en die vrug van die grond, en dit sal brand en sal nie geblus word nie.'^o

7:13 *Lett. "vroeg opgestaan en". **7:18** *Die titel van 'n godin wat deur afvallige Israeliete aanbid is, moontlik 'n vrugbaarheidsgodin. **7:19** *Of "aanstoot gee; kwaad maak".

HFST. 7

a De 12:5, 11

b 1Sa 4:11
Ps 78:60
Jer 26:6, 9c 2Kr 36:15, 16
Jer 25:3, 4

d Jes 65:12

e 1Sa 4:10, 11
Ps 78:60
Jer 26:4, 6
Klg 2:7

f 2Kn 25:8, 9

g Jer 7:4

h 2Kn 17:22, 23

i Eks 32:9, 10
Jer 11:14

j Jer 15:1

k Jer 44:17

l Jes 57:6
Jer 19:13
Ese 20:28

m Da 9:7

n Klg 2:3

o 2Kn 22:17
Jer 17:27

Tweede kol.

a Jes 1:11
Jer 6:20
Ho 8:13
Am 5:21b 1Sa 15:22
Ho 6:6c Eks 19:5
Le 26:3, 12

d De 5:29

e Eks 32:8

f Ho 4:16
Sag 7:12g De 9:7
1Sa 8:8h 2Kn 17:13
2Kr 36:15
Ne 9:17, 30
Jer 25:4i 2Kr 33:10
Jer 25:3j Jer 26:2
Ese 2:7k Jer 5:1
Mi 7:2

21 "Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Gaan voeg julle heelbrandoffers by julle ander offerandes, en eet self die vleis.'^a

22 Want op die dag toe ek julle voorvaders uit Egipte uitgelei het, het ek nie met hulle gepraat of vir hulle 'n bevel gegee aangaande heelbrandoffers en offerandes nie.^b **23** Maar ek het hulle wel hierdie bevel gegee: "Gehoorsaam my stem, en ek sal julle God word, en julle sal my volk word.^c Julle moet die hele weg volg wat ek julle beveel, sodat dit met julle goed kan gaan."^d **24** Maar hulle het nie geluister of aandag geskenk nie.^e Hulle het eerder hulle eie planne* gevolg, en hulle was hardkoppig en het hulle eie goddelose hart gevolg,^f en hulle het agteruit gegaan, nie vooruit nie, **25** van die dag af dat julle voorvaders uit Egipte gekom het tot vandag toe.^g Daarom het ek al my knegte, die profete, na julle toe bly stuur, elke dag, keer op keer.^h **26** Maar hulle het geweier om na my te luister, en hulle het nie aandag geskenk nie.ⁱ Hulle was eerder hardkoppig* en het erger opgetree as hulle voorvaders!

27 "Jy sal al hierdie woorde vir hulle sê,^j maar hulle sal nie na jou luister nie. Jy sal hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie. **28** En jy sal vir hulle sê: 'Dit is die nasie wat nie gehoorsaam was aan die stem van Jehovah hulle God nie en wat geweier het om dissipline te aanvaar. Getrouheid het verdwyn en word nie eers onder hulle genoem nie.'^k

7:24 *Of "raad". **7:25** *Lett. "daaglik vroeg opgestaan en gestuur". **7:26** *Lett. "Maar hulle het hulle nek verhard". **7:28** *Lett. "is afgesny van hulle mond".

29 "Skeer jou ongeknipte* hare af en gooi dit weg, en sing 'n treurlied op die kaal heuwels, want Jehovah het hierdie geslag wat hom woedend gemaak het, verwerp, en hy sal hulle verlaat.

30 'Want die volk van Juda het gedoen wat sleg is in my oë,' sê Jehovah. 'Hulle het hulle walglike afgode opgerig in die huis wat my naam dra, om dit onrein te maak.^a **31** Hulle het die offerhoogtes van Tofet gebou, wat in die Vallei van die Seun van Hinnom*^b is, om hulle seuns en hulle dogters in die vuur te verbrand,^c iets wat ek nie beveel het nie en wat nooit eers in my hart opgekom het nie.'^d

32 "Daarom kom die dae,' sê Jehovah, 'wanneer dit nie meer Tofet of die Vallei van die Seun van Hinnom* genoem sal word nie, maar die Moordvallei. Hulle sal in Tofet begrawe tot dat daar nie meer plek is nie.'^e

33 En die lyke van hierdie volk sal kos word vir die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde, en niemand sal hulle wegjaag nie.^f **34** Ek sal 'n einde maak aan die uitroep van vreugde en die geluid van blydschap, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid^g in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem, want die land sal verwoes word.'^h

8 "In daardie tyd," sê Jehovah, "sal die beendere van die konings van Juda, die beendere van sy leiers, die beendere van die priesters, die beendere van die profete en die beendere van die inwoners van Jerusalem uit hulle grafte gehaal word. **2** Dit sal uitgesprei word voor die son en voor die maan en voor die hele leërmag van die hemel wat

7:29 *Of "toegewyde". 7:31, 32 *Sien Woordelys, "Gehenna". 7:31 *Of "waaraan ek nooit eers gedink het nie".

HFST. 7

a 2Kn 21:1, 4
2Kr 33:1, 4
Jer 23:11
Jer 32:34

b Jos 15:8, 12

c De 12:29-31
2Kn 17:17
2Kr 28:1, 3
2Kr 33:1, 6
Ese 20:31

d Le 18:21
Le 20:3
Jer 19:5, 6
Jer 32:35

e Jer 19:11
Ese 6:4, 5

f De 28:26
Ps 79:2
Jer 16:4

g Jer 24:8
Jer 25:10

h Le 26:33
Jes 1:7
Jes 6:11

Tweede kol.

HFST. 8

a De 4:19
2Kn 17:16
2Kn 21:1, 3
Jer 19:13
Ese 8:16
Sef 1:4, 5

b Jer 16:4

c Jer 5:3

d Jer 5:1

e Jes 1:3

hulle liefgehad en gedien en gevolg en gesoek het en waarvoor hulle neergebuig het.^a Dit sal nie versamel of begrawe word nie. Dit sal soos mis op die oppervlak van die aarde word."^b

3 "En die oorblyfsel van hierdie goddelose familie sal die dood bo die lewe verkies in al die plekke waarheen ek hulle verstrooi," sê Jehovah van die leërmagte.

4 "Jy moet vir hulle sê: 'Dit is wat Jehovah sê:

"Sal hulle val en nie weer opstaan nie?

As een omdraai, sal die ander dan nie ook omdraai nie?

5 Hoekom hou hierdie volk, Jerusalem, aan om ontrou te wees?

Hulle hou vas aan bedrog, en hulle weier om om te draai.^c

6 Ek het aandag geskenk en bly luister, maar die manier waarop hulle gepraat het, was nie reg nie.

Niemand het berou gehad oor sy goddeloosheid of gevra: 'Wat het ek gedoen?' nie.^d

Elkeen bly terugkeer tot die gewilde weg, soos 'n perd wat in die geveg instorm.

7 Selfs die ooienaar in die lug ken sy seisoene,^e en die tortelduif en die windswael en die lyster^f bly by die tyd van hulle terugkoms.^g

Maar my eie volk verstaan nie die wet van Jehovah nie."^h

8 'Hoe kan julle sê: "Ons is wys, en ons het die wet* van Jehovah"?

8:7 *Of "vasgestelde tye". ^fOf moontlik "kraanvoël". ^gOf "migrasie". 8:8 *Of "onderrigting".

- Want die valse pen^{*a} van die sekretaris is eintlik net vir leuens gebruik.
- 9** Die wyses is verneder.^b
Hulle het baie bang geword en sal gevang word.
Kyk! Hulle het die woord van Jehovah verwerp, en watter wysheid het hulle?
- 10** Daarom sal ek hulle vrouens aan ander mans gee, hulle landerye aan ander eienaars,^c
want hulle almal maak oneerlike wins, van die kleinste tot die grootste,^d
hulle almal pleeg bedrog, van die profeet tot die priester.^e
- 11** Hulle probeer om die wonde^{*} van die dogter van my volk op 'n oppervlakkige manier te genees deur te sê:
"Daar is vrede! Daar is vrede!"
terwyl daar geen vrede is nie.^f
- 12** Kry hulle skaam oor die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het?
Hulle kry glad nie skaam nie!
Hulle weet nie eers hoe om verneder te voel nie!^g
Daarom sal hulle val soos dié wat reeds geval het.
Wanneer ek hulle straf, sal hulle struikel,^h sê Jehovah.
- 13** 'Wanneer ek hulle insamel, sal ek hulle tot 'n einde bring,' sê Jehovah.
'Daar sal geen driuwe aan die wingerdstok oorbly nie, geen vye aan die vyeboom nie, en die blare sal verlep.
- HFST. 8
a Jes 8:1
b Jes 29:14
c De 28:30
Sef 1:13
d Jes 56:11
Ese 33:31
Mi 3:11
e Jer 5:31
Jer 6:12-15
Jer 27:9
Klg 2:14
Ese 22:28
f Jer 23:16, 17
Ese 13:10
g Jer 3:3
h Jer 23:12
- Tweede kol.
a Jer 4:5
b Jer 9:15
Jer 23:15
Klg 3:19
c Jer 4:10
Jer 14:19

8:8 *Of "stif". 8:11 *Of "breuk".

- En hulle sal verloor wat ek aan hulle gegee het."
- 14** "Hoekom sit ons hier?
Laat ons bymekaarkom en in die versterkte stede ingaan^a en daar sterf.
Want Jehovah ons God sal ons vernietig,
en hy gee ons giftige water om te drink,^b
want ons het teen Jehovah gesondig.
- 15** Daar was hoop op vrede, maar niks goeds het gekom nie,
op 'n tyd van genesing, maar daar is net vrees!^c
- 16** Vanuit Dan word die gesnuif van sy perde gehoor.
Wanneer die geluid van die gerunnik van sy hingste gehoor word,
bewe die hele land.
Hulle kom in en verslind die land en alles daarin,
die stad en sy inwoners."
- 17** "Want kyk, ek stuur slange onder julle in,
giftige slange wat nie beheer^{*} kan word nie,
en hulle sal julle beslis pik," sê Jehovah.
- 18** My hartseer is ongeneeslik.
My hart is siek.
- 19** Uit 'n ver land is daar 'n geroep om hulp van die dogter van my volk:
"Is Jehovah nie in Sion nie? Of is haar koning nie daar nie?"
"Hoekom het hulle my aanstoot gegee met hulle beelde,
met hulle waardelose vreemde gode?"
- 20** "Die oes is verby, die somer het geëindig,
maar ons is nie gered nie!"

8:17 *Of "besweer".

21 Ek is verpletter oor die ineenstorting van die dogter van my volk.^a

Ek is terneergedruk.

Ek is in skok.

22 Is daar geen balsem* in Gi'lead nie?^b

Of is daar geen geneser daar nie?^c

Hoekom is die dogter van my volk nie genees nie?^d

9 Ag, ek wens my kop was 'n put vol water, en my oë 'n fontein van trane!^e

Dan sou ek dag en nag huil oor dié van my volk wat doodgemaak is.

2 Ag, as ek maar net 'n blyplek vir reisigers in die wildernis kon vind!

Dan sou ek my volk verlaat en van hulle af weggaan, want hulle is almal egbrekers,^f

'n klomp verraaiers.

3 Hulle span hulle tong soos 'n boog.

Leuens heers in die land, nie getrouheid nie.^g

“Hulle word slegter en slegter,

en hulle skenk geen aandag aan my nie,^h sê Jehovah.

4 “Pasop vir julle vriende, en moenie eers julle broer vertrou nie.

Want elke broer is 'n verraaiër,ⁱ

en elke vriend is 'n lasteraar.^j

5 Elkeen bedrieg sy vriend, en niemand praat die waarheid nie.

Hulle het hulle tong geleer om leuens te praat.^k

Hulle doen wat verkeerd is totdat hulle uitgeput is.

HFST. 8

a Jer 4:19, 20
Jer 14:17

b Ge 37:25

c Jer 30:12, 13

d Jer 30:17
Jer 33:4, 6

HFST. 9

e Jes 22:4
Jer 13:17

f Jer 5:7
Jer 23:10

g Jes 59:3

h Jer 4:22

i Jer 12:6
Mi 7:2, 5

j Jer 6:28
Ese 22:9

k Ps 50:19
Mi 6:12

Tweede kol.

a Jes 1:25
Jes 48:10

b Jer 5:9, 29

c Jer 4:25
Sef 1:3

d Ps 79:1
Jer 26:18

e Jer 10:22

f Jer 4:27
Jer 25:11
Jer 32:43

6 Jy lewe tussen leuens.

Weens hulle bedrog het hulle geweier om my te ken,^a sê Jehovah.

7 Daarom sê Jehovah van die lêermagte:

“Ek sal hulle smelt en hulle toets,^a

want wat anders kan ek doen met die dogter van my volk?

8 Hulle tong is 'n dodelike pyl wat bedrieglik praat.

Met hulle mond praat hulle van vrede met hulle vriende,

maar in hulle hart beplan hulle hoe om skielik aan te val.”

9 “Moet ek hulle nie straf vir hierdie dinge nie?” sê Jehovah.

“Moet ek nie wraak neem op so 'n nasie nie?^b

10 Ek sal huil en treur oor die berge

en 'n treurlied sing oor die weivelde van die wildernis,

want hulle is verbrand, en niemand gaan daardeur nie,

en die geluid van vee word nie gehoor nie.

Die voëls van die hemel soewel as die diere het gevlug, en hulle is weg.^c

11 Ek sal Jerusalem kliphope maak,^d die lêplek van jakkalse,^e

en ek sal die stede van Juda verlate maak, sonder 'n enkele inwoner.^f

12 Wie is wys genoeg om dit te verstaan?

Met wie het die mond van Jehovah gepraat, sodat hy dit kan vertel?

Hoekom is die land verwoes?

Hoekom is dit verskroei
soos die wildernis
en gaan niemand daardeur
nie?"

13 Jehovah het geantwoord: "Omdat hulle my wet* verwerp het wat ek aan hulle gegee het, en omdat hulle dit nie gevolg het nie en my stem nie gehoorzaam het nie. **14** Hulle was eerder hardkoppig en het hulle eie hart gevolg,^a en hulle het die Baäl-beelde gevolg, net soos hulle vaders hulle geleer het om te doen.^b **15** Daarom sê Jehovah van die leërmagte, die God van Israel: 'Ek laat hierdie volk als* eet, en ek sal hulle giftige water laat drink.^c **16** Ek sal hulle verstrooi onder die nasies wat hulle en hulle vaders nie geken het nie,^d en ek sal 'n swaard agter hulle aan stuur totdat ek hulle uitgeroei het.'^e

17 "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:
'Tree verstandig op.
Roep die vrouens wat treurliedere sing,^f
en laat die vaardige vrouens
geroep word,

18 sodat hulle gou kan maak
en 'n treurlied vir ons kan
begin sing,
sodat die trane uit ons oë
kan stroom
en ons ooglede met water
kan drup.^g

19 Want die geluid van 'n treurlied is uit Sion gehoor:^h
"Hoe is ons tog verwoes!
Hoe groot is ons skande tog!
Want ons het die land verlaat,
en hulle het ons huise
afgebreek."ⁱ

20 Hoor die woord van Jehovah, o vroue.
Mag julle ore die woord van
sy mond ontvang.

9:13 *Of "onderrigting". 9:15 *'n Soort bitter plant.

HFST. 9

a Jer 7:24

b Rig 3:7
1Sa 12:10
Ho 11:2

c Jer 8:14
Jer 23:15
Klg 3:15, 19

d Le 26:33
De 28:64
Ps 106:27
Sag 7:14

e Jer 29:17
Ese 5:2

f 2Kr 35:25

g Jer 6:26
Jer 14:17

h Jer 4:31
Ese 7:16
Mi 1:8, 9

i Klg 4:15
Mi 2:10

Tweede kol.

a Jes 29:2
Jer 7:29

b 2Kr 36:17
Jer 6:11

c Jes 5:25
Jer 16:3, 4

d Jes 5:21

e De 8:12-14
De 8:17, 18

f 1Kor 1:31
2Kor 10:17

g Eks 34:6
Ps 89:14

h Ps 99:4
Ho 6:6
Mi 6:8
Mi 7:18

i Am 3:1, 2

j Jes 19:1
Ese 29:2

k Jes 1:1

l Jer 27:2, 3
Ese 32:29
Ob 1

m Jer 49:1
Ese 25:2

n Jes 15:1
Jer 48:1

o Jer 25:17, 23
Jer 49:32

p Le 26:41
Jer 4:4

Leer julle dogters hierdie
klaaglied,
en leer mekaar hierdie
treurlied.^a

21 Want die dood het deur ons
vensters gekom.

Dit het in ons versterkte
torings ingekom
om die kinders van die
straat af weg te neem,
en die jong manne van die
openbare pleine af.^b

22 Sê: 'Dit is wat Jehovah sê:
"Die lyke van mense sal val
soos mis op die oppervlak
van die veld,
soos 'n ry pas gesnyde
graan agter die een wat
oes,
en niemand sal hulle byme-
kaarmaak nie."^c

23 Dit is wat Jehovah sê:
"Laat die wyse nie spog oor
sy wysheid nie,^d
laat die sterke nie spog oor
sy krag nie,
en laat die ryke nie spog oor
sy rykdom nie."^e

24 "Maar laat hy wat spog,
hieroor spog:
Dat hy insig en kennis het
van my,^f
dat ek Jehovah is, die Een
wat lojale liefde, geregtig-
heid en regverdigheid op
die aarde openbaar,^g
want dit is hierdie dinge wat
vir my vreugde bring,"^h sê
Jehovah.

25 "Die dae kom," sê Jehovah, "wanneer ek elkeen sal straf wat besny is en tog nie besny is nie,ⁱ **26** van Egipte^j en Juda^k en Edom^l en die Ammoniete^m en Moabⁿ en almal wie se hare aan die kante van hulle kop geknip is en wat in die wildernis woon,^o want al die nasies is nie besny nie, en die hele huis van Israel is nie in hulle hart besny nie."^p

10 Hoor die woord wat Jehovah teen julle gespreek het, o huis van Israel. **2** Dit is wat Jehovah sê:

“Moenie die weg van die nasies leer nie,^a en moenie bang word as gevolg van die tekens van die hemel net omdat die nasies baie bang is as gevolg daarvan nie.^b”

3 Want die gebruikte van die volke is nutteloos.* Dit is net 'n boom van die woud wat afgekap is, wat die ambagsman met sy hande en gereedskap[#] bewerk het.^c

4 Hulle versier dit met silwer en goud^d en slaan dit vas met 'n hamer en spykers sodat dit nie sal omval nie.^e

5 Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland kan hulle nie praat nie.^f Hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie.^g Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle kan niemand seermaak nie, en hulle kan ook niks goeds doen nie.^h

6 Niemand is soos u nie, o Jehovah.ⁱ U is groot, en u naam is groot en magtig.

7 Wie sal nie die Koning van die nasies vrees nie?^j Dit is gepas om dit te doen, want onder al die wyses van die nasies en onder al hulle koninkryke is daar hoegenaamd niemand soos u nie.^k

8 Hulle is almal onverstandig en dom.^l

10:3 *Of “n bedrogspul”. [#]Of “kapmes”.

HFST. 10

a Le 18:3, 30

Le 20:23

De 12:30

b Jes 47:13

c Jes 40:20

Jes 44:14, 15

Jes 45:20

Hab 2:18

d Ps 115:4

Jes 40:19

e Jes 41:7

f Hab 2:19

g Jes 46:7

h Jes 41:23

Jes 44:9

1Kor 8:4

i Eks 15:11

2Sa 7:22

Ps 86:8

j Ps 22:28

k Ps 89:6

Da 4:35

l Jer 51:17

Hab 2:18

Tweede kol.

a Jes 44:19

b 1Kn 10:22

c Jos 3:10

Da 6:26

d Da 4:3

Hab 1:12

Op 15:3

e Na 1:5

f Jes 2:18

Jer 51:17, 18

Sef 2:11

g Spr 3:19

Jes 45:18

h Ps 136:3, 5

Jes 40:22

Jer 51:15, 16

i Job 37:2

Job 38:34

j Job 36:27

Ps 135:7

k Ge 8:1

Eks 14:21

Nu 11:31

Jon 1:4

Die onderrigting van 'n boom is heeltemal nutteloos.^a

9 Silwerplate word van Tarsis^b ingevoer, en goud van Ufas, die werk van 'n ambagsman, van die hande van 'n metaalwerker.

Die afgode se klere is van blou garing en pers wol. Hulle word almal deur ambagsmanne gemaak.

10 Maar Jehovah is waarlik God.

Hy is die lewende God^c en die ewige Koning.^d

As gevolg van sy woede sal die aarde bewe,^e en geen nasie sal sy veroordeling kan verduur nie.

11 * Dit is wat julle vir hulle moet sê:

“Die gode wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie

sal van die aarde af en van onder hierdie hemel verdwyn.”^f

12 Hy is die Maker van die aarde deur sy krag, die Een wat die vrugbare land gevestig het deur sy wysheid^g

en wat die hemel uitgespan het deur sy verstand.^h

13 Wanneer hy sy stem laat hoor,

is die water in die hemel onstuimig,ⁱ

en hy laat wolke* van die eindes van die aarde af opstyg.^j

Hy maak weerlig[#] vir die reën,

en hy bring die wind uit sy stoorkamers uit.^k

10:11 *Vs. 11 is oorspronklik in Ara-mees geskryf. **10:13** *Of “dampe”. [#]Of moontlik “sluise”.

14 Elke mens tree onverstandig en sonder kennis op.

Elke metaalwerker sal verneder word as gevolg van sy beeld,^a

want sy metaalbeeld is 'n leuen,

en daar is geen gees* in hulle nie.^b

15 Hulle is nutteloos,* werke wat 'n bespotting is.^c

Wanneer hulle dag van afrekening kom, sal hulle verdwyn.

16 Die Deel van Jakob is nie soos hierdie dinge nie, want hy is die Een wat alles gemaak het,

en Israel is die staf van sy erfdeel.^d

Jehovah van die leërmagte is sy naam.^e

17 Tel jou bondel van die grond af op,

o vrou wat deur die vyand omring is.

18 Want dit is wat Jehovah sê: "Kyk, ek gooi* die bewoners nou uit die land uit,^f

en ek sal hulle laat swaar-kry."

19 Dit is verby met my as gevolg van my ineenstorting!*^g

My wond is ongeneeslik.

Ek het gesê: "Dit is tog sekerlik my siekte, en ek moet dit verduur.

20 My tent is verniel, en al my tenttoue is stukkend geskeur.^h

My kinders het my verlaat en is nie meer daar nie.ⁱ

Daar bly niemand oor wat my tent kan uitspan of my tentdoeke kan oprig nie.

21 Want die herders het sonder verstand opgetree,^j

HFST. 10

a Jes 42:17
Jes 44:11

b Jer 51:17
Hab 2:18, 19

c Jes 41:29

d De 32:9
Ps 135:4

e Jes 47:4

f De 28:63
Jer 16:13

g Jer 8:21

h Jer 4:20

i Jer 31:15

j Jer 5:31

Tweede kol.

a Jer 2:8
Jer 8:9

b Jer 23:1
Ese 34:5, 6

c Jer 1:15
Jer 4:6
Jer 6:22
Hab 1:6

d Jer 9:11

e Ps 17:5
Ps 37:23
Spr 16:3
Spr 20:24

f Ps 6:1
Ps 38:1

g Jer 30:11

h Jes 34:2

i Jer 51:34

j Jes 10:22

k Ps 79:6, 7
Jer 8:16
Klg 2:22

HFST. 11

l De 27:26
De 28:15

m Eks 24:3

en hulle het Jehovah nie vir leiding gevra nie.^a

Daarom het hulle nie met insig opgetree nie, en al hulle kuddes is verstrooi."^b

22 Luister! 'n Berig! Dit kom!

'n Groot gedreun uit die land van die noorde,^c

om die stede van Juda verlate te maak, 'n lêplek van jakkalse.^d

23 Ek weet goed, o Jehovah, dat die mens se weg nie aan hom behoort nie.

Dit behoort nie aan die mens wat loop om sy voetstappte te rig nie.^e

24 Wys my tereg met geregtigheid, o Jehovah,

maar nie in u woede nie,^f sodat u my nie vernietig nie.^g

25 Stort u woede uit oor die nasies wat u ignoreer^h en oor die families wat u naam nie aanroep nie.

Want hulle het Jakob verslind,ⁱ

ja, hulle het hom verslind totdat hy amper uitgewis is,^j

en hulle het sy tuisland verwoes.^k

11 Dit is die boodskap wat Jeremia van Jehovah ontvang het: **2** "Hoor die woorde van hierdie verbond, o volk!

"Dra dit oor* aan die manne van Juda en aan die inwoners van Jerusalem **3** en sê vir hulle: 'Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: "Vervloek is die man wat weier om die woorde van hierdie verbond te gehoorsaam,^l **4** die verbond wat ek met julle voorvaders gemaak het op die dag toe ek hulle uit Egipte,^m uit die ystersmeltoond,

11:2 *Blykbaar aan Jeremia gerig.

10:14 *Of "asem". 10:15 *Of "n bedrogspul". 10:18 *Of "slinger". 10:19 *Of "breuk".

uitgelei het.^a Ek het toe gesê: 'Gehoorzaam my stem en doen alles wat ek julle beveel, en julle sal my volk word, en ek sal julle God word.'^b **5** Dan sal ek die eed kan nakom wat ek aan julle voorvaders gesweer het om aan hulle die land te gee wat oorloop van melk en heuning,^c soos vandag die geval is.'"^{'''}

En ek het geantwoord: "Amen,* o Jehovah."

6 Jehovah het toe vir my gesê: "Verkondig al hierdie woorde in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem: 'Hoor die woorde van hierdie verbond en voer dit uit. **7** Want ek het julle voorvaders ernstig gewaarsku vanaf die dag toe ek hulle uit Egipte uitgelei het tot vandag toe deur herhaaldelik vir hulle te sê:* "Gehoorzaam my stem."^d **8** Maar hulle het nie geluister of aandag geskenk nie. Elkeen van hulle was eerder hardkoppig en het sy eie slegte hart bly volg.^e Daarom het ek al die woorde van hierdie verbond oor hulle gebring wat ek hulle beveel het om te doen en wat hulle geweier het om te gehoorsaam.'"

9 Jehovah het toe vir my gesê: "Daar is 'n sameswering onder die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem. **10** Hulle het hulle skuldig gemaak aan dieselfde oortredings as hulle voorvaders, wat geweer het om my woorde te gehoorsaam.^f Hulle het ook ander gode gevolg en hulle gedien.^g Die huis van Israel en die huis van Juda het my verbond verbreek wat ek met hulle voorvaders gemaak het.^h **11** Daarom sê Jehovah: 'Kyk, ek bring

11:5 *Of "Laat dit so wees". **11:7** *Lett. "deur vroeg op te staan en te vermaan".

HFST. 11

a Eks 13:3
De 4:20

b Le 26:3, 12

c Ge 15:18
Eks 3:8
Le 20:24
De 6:3

d Jer 7:13
Jer 25:4
Jer 35:15

e Jes 65:2
Jer 7:24, 26
Ese 20:8
Sag 7:11, 12

f Rig 2:11, 17
1Sa 8:8
2Kn 22:17

g 2Kr 28:22, 23

h De 31:16
2Kn 17:6, 7
Ho 6:7

Tweede kol.

a 2Kn 22:16
Jer 6:19
Ese 7:5

b Jes 1:15
Jer 14:12
Ese 8:18
Mi 3:4

c De 32:37, 38
Jer 2:28

d Jer 7:9, 10

e Jer 7:16
Jer 14:11

f Jes 5:2
Jer 2:21

rampspoed oor hulle^a waarvan hulle nie sal kan wegkom nie. Wanneer hulle tot my om hulp roep, sal ek nie na hulle luister nie.^b **12** Dan sal die stede van Juda en die inwoners van Jerusalem na die gode toe gaan vir wie hulle offerandes bring* en om hulp roep,^c maar hierdie gode sal hulle beslis nie in die tyd van hulle rampspoed red nie. **13** Want jou gode het net soveel soos jou stede geword, o Juda, en julle het net soveel altare vir die skandelige ding* opgerig as wat daar strate in Jerusalem is, altare om vir Baäl offerandes te bring.^d

14 "En jy* moenie vir hierdie volk bid nie. Moenie om hulle onthalwe uitroep of 'n gebed vir hulle doen nie,^e want ek sal nie luister wanneer hulle na my toe uitroep as gevolg van hulle rampspoed nie.

15 "Watter reg het my geliefde om in my huis te wees wanneer so baie van die volk goddelose planne uitgevoer het?

Sal hulle met heilige vleis* die rampspoed kan keer wanneer dit oor jou kom? Sal jy in daardie tyd bly wees?

16 Jehovah het jou eenkeer 'n gesonde olyfboom genoem, mooi met goeie vrugte. Maar daar was 'n harde geluid, en hy het haar aan die brand gesteek, en hulle het haar takke gebreek.

17 "Jehovah van die leërmagte, wat jou geplant het,^f het gesê dat rampspoed oor jou sal

11:12 *Of "offerrook laat opgaan". **11:13** *Of "die skandelige god". **11:14** *D.w.s. Jeremia. **11:15** *D.w.s. offerandes wat in die tempel geoffer is.

kom as gevolg van die goddeloosheid van die huis van Israel en die huis van Juda, wat my aanstoot gegee het deur offerandes vir Baäl te bring.”^a

18 Jehovah het my ingelig sodat ek sal weet, en toe het u my laat sien wat hulle besig is om te doen.

19 Ek was soos ’n mak lammetjie wat gelei word om geslag te word.

Ek het nie geweet dat hulle planne teen my beraam nie:^b

“Laat ons die boom met sy vrugte vernietig, en laat ons hom uit die land van die lewendes verwyder, sodat sy naam nie meer onthou sal word nie.”

20 Maar Jehovah van die leërmagte oordeel met regverdigheid.

Hy ondersoek die diepste gedagtes* en die hart.^c

Laat my sien hoe u op hulle wraak neem, want ek het my regsak aan u toevertrou.

21 Daarom is dit wat Jehovah sê teen die manne van A’natot^d wat jou wil doodmaak en wat sê: “Jy moenie in die naam van Jehovah profeteer nie,^e of anders sal ons jou doodmaak” –

22 daarom is dit wat Jehovah van die leërmagte sê: “Kyk, ek gaan hulle straf. Die jong manne sal deur die swaard sterf,^f en hulle seuns en hulle dogters sal deur die hongersnood sterf.^g

23 Daar sal nie eers ’n oorblyfsel van hulle oorbly nie, want ek sal rampspoed oor die manne van A’natot^h bring in die jaar dat hulle gestraf sal word.”

11:20; 12:2 *Of “diepste emosies”. Lett. “niere”.

HFST. 11
a Jer 19:5, 15

b Jer 18:18

c 1Kr 28:9
Jer 17:10
Jer 20:12

d Jer 1:1

e Jes 30:10
Am 2:12
Am 7:16

f 2Kr 36:17
Klg 2:21

g Jer 18:21

h Jos 21:8, 18

Tweede kol.

HFST. 12
a Ge 18:25

b Job 12:6
Job 21:7
Ps 73:3
Jer 5:28

c Jes 29:13

d Ps 139:1, 2

e 2Kn 20:3
Ps 17:3
Jer 11:20

f Jer 14:6
Jer 23:10

g Jer 4:13

12 U is regverdig, o Jehovah,^a wanneer ek by u kla,

wanneer ek met u praat oor sake wat met geregtigheid te doen het.

Maar hoekom is die weg van die goddeloses suksesvol,^b en hoekom is dié wat ander verraai, nie bekommerd nie?

2 U het hulle geplant, en hulle het wortelgeskiet.

Hulle het gegroei en vrug voortgebring.

U is op hulle lippe, maar ver van hulle diepste gedagtes.^{*c}

3 Maar u ken my goed, o Jehovah,^d u sien my.

U het my hart ondersoek en gevind dat dit in eenheid met u is.^e

U moet hulle afsonder soos skape wat geslag gaan word

en hulle opsyt vir die dag van slagting.

4 Hoe lank moet die land nog verdor

en die plante van elke veld nog verdroog?^f

As gevolg van die goddeloosheid van die mense wat daarin woon,

is die diere en die voëls weggevee.

Want hulle het gesê: “Hy sien nie wat met ons gaan gebeur nie.”

5 As jy moeg raak wanneer jy saam met mense hardloop,

hoe kan jy dan ’n wedloop teen perde hardloop?^g

Jy is dalk vol vertroue in die land van vrede,

maar hoe sal jy vaar tussen die digte bosse langs die Jordaanrivier?

- 6** Want selfs jou broers, die huisgesin van jou eie pa, het jou verraai.^a Hulle roep met 'n harde stem teen jou uit. Moenie geloof in hulle stel nie, selfs al sê hulle goeie dinge vir jou.
- 7** “Ek het my huis agtergelaat,^b ek het my erfdeel laat vaar.^c Ek het my geliefde dierbare in die hand van haar vyande gegee.^d
- 8** My erfdeel het vir my soos 'n leeu in die woud geword. Sy het teen my gebrul. Daarom haat ek haar.
- 9** My erfdeel is vir my soos 'n bont* roofvoël. Die ander roofvoëls omring haar en val haar aan.^e Kom bymekaar, al die diere van die veld, kom eet.^f
- 10** Baie herders het my wingerd verwoes.^g Hulle het my stuk grond vertrap.^h Hulle het my begeerlike stuk grond in 'n verlate wildernis verander.
- 11** Dit het 'n verlate plek geword. Dit het verdroog,* en dit lê woës voor my.ⁱ Die hele land is verwoes, maar niemand steur hulle daaraan# nie.^j
- 12** Op al die uitgetrapte paaië deur die wildernis het die vernietigers gekom, want die swaard van Jehovah verslind van die een end van die land tot die ander end.^k

12:9 *Of “gespikkelde”. 12:11 *Of moontlik “Dit treur”. #Of “neem dit ter harte”.

HFST. 12

a Jer 9:4

b Lu 13:35

c Eks 19:5
Jes 47:6

d Klg 2:1

e 2Kn 24:2
Ese 16:37

f Jes 56:9
Jer 7:33

g Ps 80:8
Jes 5:1,7
Jer 6:3

h Jes 63:18
Jer 3:19

i Jer 9:11
Jer 10:22

j Jes 42:24, 25

k Le 26:33
Jer 15:2

Tweede kol.

a Le 26:16
Mi 6:15

b Ps 79:4
Jer 48:26
Ese 25:3
Sag 1:15
Sag 2:8

c Jer 48:2
Jer 49:2

d Jes 60:12

Daar is geen vrede vir enigiemand* nie.

13 Hulle het koring gesaai, maar hulle het dorings geoes.^a

Hulle het hulle uitgeput, maar verniet.

Hulle sal skaam wees oor hulle opbrengste as gevolg van die brandende woede van Jehovah.”

14 Dit is wat Jehovah sê: “Ek sal al my goddelose bure wat aan die erfdeel raak wat ek my volk Israel laat besit het,^b uit hulle land uitruk,^c en ek sal die huis van Juda onder hulle wegruk. **15** Maar nadat ek hulle weggeruk het, sal ek weer genade aan hulle betoon en elkeen van hulle na sy erfdeel en na sy land terugbring.”

16 “En as hulle seker maak dat hulle die weë van my volk leer en dat hulle by my naam sweer en sê: ‘So waar as wat Jehovah lewe!’ net soos hulle my volk geleer het om by Baäl te sweer, sal hulle dan onder my volk opgebou word. **17** Maar as hulle weier om gehoorsaam te wees, sal ek daardie nasie ook uitruk. Ek sal dit uitruk en vernietig,” sê Jehovah.^d

13 Dit is wat Jehovah vir my gesê het: “Gaan koop vir jou 'n lyfband van linne en bind dit om jou middel, maar moet dit nie in water sit nie.” **2** Ek het dus die lyfband gekoop soos Jehovah gesê het en dit om my middel gebind. **3** En Jehovah het 'n tweede keer met my gepraat en gesê: **4** “Neem die lyfband wat jy gekoop het en wat jy om jou middel het, staan op, gaan na die Eufraatrivier en steek dit daar in 'n kloof van die krans weg.” **5** Toe het ek gegaan en dit by die Eufraatrivier

12:12 *Lett. “enige vlees”.

weggesteek, net soos Jehovah my beveel het.

6 Maar baie dae later het Jehovah vir my gesê: “Staan op, gaan na die Eufraatrivier en gaan haal die lyfband wat ek jou beveel het om daar weg te steek.” **7** Toe het ek na die Eufraatrivier gegaan en die lyfband uitgegrawe en dit uitgehaal uit die plek waar ek dit weggesteek het, en ek het gesien dat die lyfband heeltemal verniel is en glad nie gebruik kan word nie.

8 Toe het Jehovah vir my gesê: **9** “Dit is wat Jehovah sê: ‘Net so sal ek die trots van Juda en die groot trots van Jerusalem vernietig.’” **10** Hierdie goddelose volk wat weier om my woorde te gehoorsaam,^b wat hardkoppig is en hulle eie hart volg^c en wat ander gode volg deur hulle te dien en voor hulle neer te buig, sal net soos hierdie lyfband word wat glad nie gebruik kan word nie.’ **11** ‘Want net soos ’n lyfband aan ’n man se middel kleef, so het ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan my laat kleef,’ sê Jehovah, ‘so dat julle my volk,^d my roem^e en my lof kon word, iets pragtigs. Maar hulle was nie gehoorsaam nie.’^f

12 “En jy moet ook hierdie boodskap vir hulle gee: ‘Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: “Elke groot kruik moet met wyn gevul word.” En hulle sal jou antwoord: ‘Weet ons nie reeds dat elke groot kruik met wyn gevul moet word nie?’”

13 Sê dan vir hulle: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Ek vul al die inwoners van hierdie land,^g die konings wat op die troon van Dawid sit, die priesters en die profete en al die inwoners van Jerusalem met dronkenskap.

HFST. 13

a Le 26:19
Sef 3:11

b 2Kr 36:15, 16

c Jer 6:28

d Eks 19:5
De 26:18
Ps 135:4

e Jer 33:9

f Jer 6:17

g Jes 29:9
Jes 51:17
Jer 25:27

Tweede kol.

a Jer 6:21
Ese 5:10

b Ese 7:4
Ese 24:14

c Jes 59:9

d Jer 9:1

e Ps 100:3

f 2Kn 24:12
Jer 22:24, 26

g De 28:64

h Jer 6:22

14 En ek sal hulle teen mekaar stukkend slaan, pa’s sowel as kinders,” sê Jehovah.^a “Ek sal nie medelye^{*} hê of jammer voel of enige genade aan hulle betoon nie. Niks sal my keer om hulle te vernietig nie.”^b

15 Hoor en skenk aandag.

Moenie hoogmoedig wees nie, want Jehovah het gepraat.

16 Gee eer aan Jehovah julle God

voordat hy duisternis bring en voordat julle voete in die skemer op die berge struikel.

Julle sal hoop dat daar lig sal wees,

maar hy sal diep skaduwee bring.

Hy sal dit in stikdonkerte verander.^c

17 En as julle weier om te luister,

sal ek in die geheim huil weens julle trots.

Ek sal baie tranes stort, en die tranes sal uit my oë stroom,^d

want die kudde van Jehovah^e is as gevangenes weggeneem.

18 Sê vir die koning en vir die koningin-moeder:^{*f} ‘Sit op ’n laer plek,

want julle pragtige kroon sal van julle kop afval.’

19 Die stede van die suide is toegemaak,^{*} en daar is niemand om dit oop te maak nie.

Die hele Juda is in ballingskap weggeneem, geheel en al in ballingskap weggeneem.^g

20 Kyk op en sien dié wat uit die noorde kom.^h

13:14 *Sien Woordelys. 13:18 *Of “die dame”. 13:19 *Of “beleër”.

Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige skape?^a

- 21 Wat sal jy sê wanneer jy gestraf word deur dié wat jy van die begin af as hegte vriende behandel het?^b

Sal jy nie oorweldig word deur geboortepyne soos dié van 'n vrou wat geboorte gee nie?^c

- 22 En wanneer jy in jou hart vra: 'Hoekom het hierdie dinge met my gebeur?'^d moet jy weet dat dit as gevolg van jou groot oortreding is dat jou klere uitgetrek is^e en jou hakskene groot pyn ondervind het.

- 23 Kan 'n Kussiet* sy vel verander, of 'n luiperd sy kolle?^f

Indien wel, sal julle kan doen wat goed is, julle wat daaraan gewoond is om te doen wat sleg is.

- 24 Daarom sal ek hulle verstrooi soos strooi wat deur die woestynwind gewaai word.^g

- 25 Dit is jou lot, die deel wat ek vir jou afgemeet het," sê Jehovah, "want jy het my vergeet,^h en jy vertrou op leuens.ⁱ

- 26 Daarom sal ek jou klere oor jou gesig oplig, en jou naaktheid sal gesien word.^j

- 27 jou daad van egbreuk^k en jou gerunnik op soek na seksuele bevrediging, jou afstootlike* prostitusie. Op die heuwels, in die veld het ek jou walglike optrede gesien.^l

HFST. 13

a Ese 34:8

b Jes 39:1, 2

c Jer 6:24
Mi 4:9

d Jer 5:19
Jer 16:10, 11

e Ese 16:37

f Spr 27:22

g Le 26:33
De 28:64

h Jer 2:32

i De 32:37, 38
Jes 28:15
Jer 10:14

j Klg 1:8
Ese 16:37
Ese 23:29

k Jer 2:20
Ese 16:15

l Jes 65:7
Ese 6:13

Tweede kol.

a Ese 24:13

HFST. 14

b De 28:24

c Jl 1:10

d Le 26:20
De 28:23

e Jer 12:4
Jl 1:18

f Jos 9:9
Ps 25:11
Ps 115:1, 2

g Esr 9:6
Ne 9:33
Da 9:5, 8

h Ps 106:8
Ps 106:21
Jes 45:15

Dit sal met jou sleg gaan, o Jerusalem!
Hoeveel langer sal jy onrein bly?^a

14 Dit is die boodskap van Jehovah wat Jeremia ontvang het oor die droogtes:^b

- 2 Juda treur,^c en sy poorte is verwaarloos.

Hulle sink terneergedruk na die grond toe, en 'n uitroep gaan op van Jerusalem.

- 3 En hulle meesters stuur hulle knegte* om water te gaan haal.

Hulle gaan na die watergate[#] en vind geen water nie. Hulle keer terug met leë houers.

Hulle kry skaam en is teleurgesteld, en hulle bedek hulle kop.

- 4 Omdat die grond gekraak is weens 'n gebrek aan reën op die land,^d

is die boere ontsteld en bedek hulle hulle kop.

- 5 Selfs die takbokooi in die veld verlaat haar pasgeborenes, want daar is geen gras nie.

- 6 Die wildedonkies staan op die kaal heuwels. Hulle hyg na hulle asem soos jakkalse.

Hulle oë gee in omdat daar geen plantegroei is nie.^e

- 7 Hoewel ons eie oortredings teen ons getuig, o Jehovah, tree op ter wille van u naam.^f

Want ons daad van ontrouheid is baie,^g en dit is teen u dat ons gesondig het.

- 8 O hoop van Israel, sy Redder^h in moeilike tye,

14:3 *Of "hulle geringes". [#]Of "die waterslote; die reënputte".

13:23 *Of "Etiopiër". 13:27 *Of "skandelijke".

hoekom is u soos 'n vreemdeling in die land, soos 'n reisiger wat net stop om te oornag?

9 Hoekom is u soos 'n man wat verstom is, soos 'n sterk man wat nie kan red nie? Want u is by ons, o Jehovah,^a en u naam is oor ons uitgeroep.^b

Moet ons nie verlaat nie.

10 Dit is wat Jehovah van hierdie volk sê: "Hulle is lief daarvoor om rond te dwaal,^c en hulle het nie hulle voete teruggehou nie.^d Daarom is Jehovah nie tevrede met hulle nie.^e Nou sal hy aan hulle oortreding dink en hulle straf vir hulle sondes."^f

11 Toe het Jehovah vir my gesê: "Moenie bid dat enigiets goeds met hierdie volk gebeur nie.^g **12** Wanneer hulle vas, luister ek nie na hulle smekinge nie,^h en wanneer hulle heelbrandoffers en graanoffers bring, is dit nie vir my aanvaarbaar nie.ⁱ Want ek sal hulle vernietig deur die swaard, hongersnood en vreeslike siektes."^j

13 Toe het ek gesê: "Ag, Soewereine Heer Jehovah! Die profete sê vir hulle: 'Julle sal nie die swaard sien nie, en hongersnood sal nie oor julle kom nie, maar ek sal julle ware vrede in hierdie plek gee.'^k

14 Jehovah het toe vir my gesê: "Die profete profeteer leuens in my naam.^l Ek het hulle nie gestuur of hulle beveel of met hulle gepraat nie.^m Hulle profeteer 'n valse visioen en nuttelose waarsêery en die bedrog van hulle eie hart aan julle.ⁿ **15** Daarom is dit wat Jehovah sê: 'Die profete wat in my naam profeteer hoewel ek hulle nie gestuur het nie en wat sê dat daar geen swaard of

HFST. 14

a Eks 29:45
De 23:14

b Da 9:19

c Jer 2:23

d Jer 2:25

e Jer 6:20

f Ho 8:13

g Jer 7:16
Jer 11:14

h Jes 1:15
Jes 58:3
Jer 11:11
Ese 8:18

i Jes 1:11

j Jer 9:16
Ese 5:12

k Jer 4:10
Jer 5:31
Jer 6:13, 14
Jer 23:16, 17
Jer 27:8-10
Ese 13:10
Mi 3:11

l Jer 23:25, 26
Jer 29:21

m Jer 23:21
Jer 27:15

n Klg 2:14

Tweede kol.

a Jer 5:12, 13
Jer 23:15
Ese 12:24
Ese 13:9

b Ps 79:2, 3
Jer 9:22

c Jer 4:18

d Jer 8:18, 21
Jer 9:1

e Klg 1:15

f Ese 7:15

g Klg 5:10

h De 28:36

i Jer 12:8
Klg 5:22

j 2Kr 36:15, 16

k Jer 8:15

l Esr 9:7
Da 9:5, 8

hongersnood in die land sal wees nie, sal deur die swaard en deur die hongersnood doodgaan.^a **16** En die mense vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jerusalem uitgegooi word as gevolg van die hongersnood en die swaard, en daar sal niemand wees om hulle, hulle vrouens, hulle seuns of hulle dogters te begrawe nie,^b want ek sal die rampspoed wat hulle verdien, oor hulle uitstort.'^c

17 "Jy moet hierdie boodskap vir hulle gee:

'Laat trane dag en nag uit my oë stroom, en laat dit nie ophou nie,^d

want die maagdelike dogter van my volk is heeltemal verpletter en gebreek,^e met 'n wond wat verskriklik erg is.

18 As ek in die veld uitgaan en kyk,

sien ek dié wat met die swaard doodgemaak is!^f

En as ek in die stad inkom, sien ek die siektes as gevolg van die hongersnood!^g

Want die profeet en die priester het rondgetrek in 'n land wat hulle nie ken nie."^h

19 Het u Juda heeltemal verwerp, of het u Sion gehaat?ⁱ

Hoekom het u ons geslaan, sodat daar geen genesing vir ons is nie?^j

Daar was hoop op vrede, maar niks goeds het gekom nie,

op 'n tyd van genesing, maar daar is net vrees!^k

20 Ons erken ons goddeloosheid, o Jehovah, en die oortreding van ons voorvaders, want ons het teen u gesondig.^l

21 Ter wille van u naam moet u ons nie verwerp nie.^a
Moenie u glorieryke troon verwerp nie.

Onthou tog, en moenie u verbond met ons verbreek nie.^b

22 Kan enige van die waarde-lose afgode van die nasies reën gee, of kan die hemel vanself reënbuie gee?

Is dit nie net u wat dit kan doen nie, o Jehovah ons God?^c

En ons hoop op u, want u alleen het al hierdie dinge gedoen.

15 Toe het Jehovah vir my gesê: "Al het Moses en Samuel voor my gestaan,^d sou hierdie volk nie my goedkeuring hê nie. Dryf hulle voor my uit. Laat hulle gaan. **2** En as hulle vir jou vra: 'Waarheen moet ons gaan?' dan moet jy vir hulle sê: 'Dit is wat Jehovah sê:

"Almal wat deur die dodelike plaag moet sterf, na die dodelike plaag!

Almal wat deur die swaard doodgemaak moet word, na die swaard!^e

Almal wat honger moet ly, na die hongersnood!

En almal wat gevange geneem moet word, na die gevangenskap!"^f

3 "Ek sal vier rampe* oor hulle laat kom,^g sê Jehovah, 'die swaard om dood te maak, die honde om weg te sleep en die voëls van die hemel en die diere van die aarde om te verslind en te vernietig.^h **4** En ek sal hulle iets skokkends maak vir al die koninkryke van die aardeⁱ as gevolg van Manas'se, die seun van Hiski'a, die koning

15:3 *Of moontlik "vier soorte oordele". Lett. "vier families".

HFST. 14

a Ese 36:22
Da 9:15

b Eks 32:13
Le 26:41, 42
Ps 106:43-45

c De 28:12
Jes 30:23
Jl 2:23

HFST. 15

d Eks 32:11
1Sa 7:9
Ps 99:6
Ps 106:23

e Ese 5:2

f Ese 12:11

g Ese 14:21

h De 28:26
Jer 7:33

i De 28:15, 25
Jer 24:9
Ese 23:46

Tweede kol.

a 2Kn 21:11
2Kn 23:26
2Kn 24:3, 4

b Jer 2:13

c Jes 1:4

d Sef 1:4

e De 28:15, 18
Jer 9:21
Ese 24:21

f Jer 5:3

g Jer 44:27
Ese 5:12

van Juda, weens wat hy in Jerusalem gedoen het.^a

5 Wie sal vir jou jammer voel, o Jerusalem, wie sal met jou simpatiseer, en wie sal stop en vra hoe dit met jou gaan?

6 'Jy het my verlaat,' sê Jehovah.^b

'Jy bly jou rug op my draai.^{*c} Daarom sal ek my hand teen jou uitsteek en jou vernietig.^d

Ek is moeg om vir jou jammer te voel.^e

7 En ek sal hulle in die poorte van die land soos kaf in die wind verstrooi.^{*f}

Ek sal hulle kinders van hulle af wegneem.^g

Ek sal my volk vernietig, aangesien hulle weier om hulle slegte weë te los.^f

8 Hulle weduwees sal voor my meer word as die sand van die seë.

Ek sal in die middel van die dag 'n vernietiger teen hulle bring, teen ma's en teen jong mans.

Ek sal skielik verwarring oor hulle bring en hulle bang laat word.

9 Die vrou wat aan sewe kinders geboorte gegee het, het swak geword.

Sy sukkel om asem te haal.

Haar son het ondergegaan terwyl dit nog dag was, en dit het skande en vernerding veroorsaak.^{*g}

'En die paar van hulle wat oorbly,

sal ek voor hulle vyande aan die swaard gee,' sê Jehovah.^g

15:6 *Of moontlik "Jy hou aan om agteruit te loop". *Of "om spyt te voel".
15:7 *Of "met 'n vurk uitwan". 15:9 *Of moontlik "en dit het beskaamd gestaan en verleë gevoel".

- 10** Wat 'n jammerte is dit tog vir my, o my moeder, want u het aan my geboorte gegee,^a
'n man wat gedurig betrokke is by stryery en onenigheid met die hele land. Ek het niks uitgeleen of by ander geleen nie, maar hulle almal vervloek my.
- 11** Jehovah het gesê: "Ek sal jou beslis help. Ek sal beslis ter wille van jou ingryp teen die vyand in die tyd van ramspoed, in die tyd van angs.
- 12** Kan enigiemand yster in stukke breek, yster uit die noorde, en koper?
- 13** Ek sal jou rykdom en jou skatte aan jou vyande gee,^b nie teen 'n prys nie, maar as gevolg van al jou sondes regdeur al jou gebiede.
- 14** Ek sal hulle aan jou vyande gee om na 'n land te neem wat jy nie ken nie.^c Want 'n vuur is aangesteek deur my woede, en dit brand teen julle."^d
- 15** U weet, o Jehovah, dink aan my en skenk aandag aan my. Neem wraak op my vervolgers vir my.^e Moenie toelaat dat ek doodgaan* omdat u geduldig is met hulle nie. Weet dat ek hierdie skande ter wille van u verduur.^f
- 16** U woorde is gevind, en ek het dit geëet.^g En u woord het vir my die vreugde en die blydskap van my hart geword,

15:15 *Lett. "Moet my nie wegneem".

HFST. 15

a Jer 20:14

b Jer 20:5

c Le 26:38
Jer 16:13

d De 32:22
Jes 42:24, 25
Jer 17:4

e Jer 11:20
Jer 12:3
Jer 17:18
Jer 37:15

f Ps 69:7

g Ese 3:1-3
Op 10:9,10

Tweede kol.

a Ps 1:1

b Jer 20:8

c Jer 1:18
Ese 3:9

d Jer 20:11

want u naam is oor my uitgeroep, o Jehovah, God van die leërmagte.

- 17** Ek sit nie in die geselskap van feesvierders nie, en ek is nie saam met hulle bly nie.^a

Omdat u hand op my is, sit ek alleen, want u het my met woede* gevul.^b

- 18** Hoekom het ek aanhoudend pyn en hoekom is my wond ongeneeslik? Dit wil nie gesond word nie. Sal u vir my soos 'n bedrieglike waterbron word waarop 'n mens nie kan staatmaak nie?

- 19** Daarom sê Jehovah: "As jy terugkeer, sal ek jou herstel, en jy sal voor my staan. As jy dit wat kosbaar is, afskei van dit wat waarde-loos is, sal jy soos my eie mond word.* Hulle sal na jou toe moet draai, maar jy sal nie na hulle toe draai nie."

- 20** "Ek maak jou 'n versterkte kopermuur vir hierdie volk.^c

Hulle sal beslis teen jou veg, maar hulle sal nie die oorhand oor jou kry nie,^{*d} want ek is met jou om jou te red en jou te verlos," sê Jehovah.

- 21** "En ek sal jou red uit die hand van die goddeloses, en jou bevry uit die palm van dié wat wreed is."

15:17 *Of "'n boodskap van veroordeling". 15:19 *Of "sal jy my woordvoerder word". 15:20 *Of "jou nie verslaan nie".

16 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Moenie vir jou ’n vrou neem nie, en moenie seuns en dogters in hierdie plek hê nie. **3** Want dit is wat Jehovah sê oor die seuns en dogters wat in hierdie plek gebore word en oor hulle ma’s wat aan hulle geboorte gee en oor hulle pa’s wat hulle geboorte in hierdie land veroorsaak: **4** ‘Hulle sal van dodelike siektes sterf,^a maar niemand sal oor hulle treur of hulle begrawe nie. Hulle sal soos mis op die oppervlak van die aarde word.^b Hulle sal deur die swaard en die hongersnood sterf,^c en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde.’

5 “Want dit is wat Jehovah sê: ‘Moenie in ’n huis ingaan waar mense treur nie, en moenie gaan om te huil of om te simpatiseer nie.’^d ‘Want ek het my vrede van hierdie volk af wegge- neem,’ sê Jehovah, ‘sowel as my lojale liefde en genade.’^e

6 Groot en klein sal in hierdie land sterf. Hulle sal nie begrawe word nie. Niemand sal oor hulle treur nie, en niemand sal hom stuk- kend sny of sy kop kaal skeer vir hulle nie.*

7 Niemand sal kos voorsien aan dié wat treur om hulle oor hulle dooies te troos nie, en niemand sal die beker van vertroosting aan hulle gee om te drink oor die verlies van hulle pa of ma nie.

16:6 *Heidense rougebruike wat blykbaar in afvallige Israel beoefen is.

HFST. 16
a Jer 15:2

b Ps 79:2, 3
Jes 5:25
Jer 7:33
Jer 9:22
Jer 36:30

c Ese 5:12

d Ese 24:16, 17

e De 31:17
Jes 27:11
Jes 63:10

Tweede kol.

a Jes 24:7, 8
Jer 7:34
Op 18:23

b Jer 5:19

c Rig 2:12

d Jer 8:1, 2

e Da 9:11
Am 2:4

f Jer 7:26

g Ne 9:29
Jer 6:28

h 2Kr 7:20
Jer 15:14
Jer 17:4

i De 4:27, 28
De 28:36

j Eks 20:2
Jer 23:7, 8

k De 30:1-3
Jer 3:18
Jer 24:6
Jer 30:3
Jer 32:37
Am 9:14

8 Moenie in ’n huis ingaan waar daar feesgevier word om saam met hulle te sit en te eet en te drink nie.’

9 “Want dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Kyk, ek sal in hierdie plek, in julle dae en voor julle oë, ’n einde maak aan die geluid van vreugde en blydskap, aan die stem van die bruidegom en die stem van die bruid.’^a

10 “Wanneer jy hierdie boodskap aan hierdie volk oordra, sal hulle vir jou vra: ‘Hoe kom het Jehovah van hierdie groot rampspoed teen ons gepraat? Watter oortreding en watter sonde het ons teen Jehovah ons God gepleeg?’^b **11** Jy moet hulle antwoord: “Julle voorvaders het my verlaat,”^c sê Jehovah, “en hulle het aangehou om ander gode te volg en hulle te dien en voor hulle neer te buig.^d Hulle het my verlaat, en hulle het my wet nie gehoorsaam nie.^e **12** En julle het julle baie slegter gedra as julle voorvaders,^f en elkeen van julle was hardkoppig en het sy goddelose hart gevolg in plaas daarvan om my te gehoorsaam.^g **13** Daarom sal ek julle uit hierdie land uitdryf na ’n land wat nie julle of julle voorvaders geken het nie,^h en daar sal julle dag en nag ander gode moet dien,ⁱ want ek sal geen genade vir julle hê nie.”

14 “‘Maar die dae kom,’ sê Jehovah, ‘wanneer hulle nie meer sal sê: “So waar as wat Jehovah lewe, wat die Israeliete uit Egipte uitgelei het!” nie,^j **15** maar eerder: “So waar as wat Jehovah lewe, wat die Israeliete uitgelei het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen hy hulle verstrooi het!” en ek sal hulle terugbring na hulle land, wat ek aan hulle voorvaders gegee het.’^k

- 16** 'Kyk, ek laat baie vissermanne kom,' sê Jehovah,
'en hulle sal hulle vang.
Daarna sal ek baie jagters laat kom,
en hulle sal hulle jag op elke berg en elke heuwel
en uit die klowe van die kranse.
- 17** Want my oë sien alles wat hulle doen.*
Hulle is nie vir my weggesteek nie,
en hulle oortreding is ook nie vir my oë weggesteek nie.
- 18** Eers sal ek hulle ten volle terugbetaal vir hulle oortreding en hulle sonde,^a
want hulle het my land onheilig met die lewlose beelde* van hulle walglike afgode
en het my erfdeel met hulle afskuwelike dinge gevul."^b
- 19** O Jehovah, my krag en my vesting,
die plek waarheen ek kan vlug in die dag van angs,^c
die nasies sal van die eindes van die aarde af na u toe kom,
en hulle sal sê: "Ons voorvaders het absolute leuens geërf,
nutteloosheid en waardelose dinge wat geen voordeel inhou nie."^d
- 20** Kan 'n mens vir hom gode maak
wanneer hulle nie werklik gode is nie?^e
- 21** "Daarom sal ek seker maak dat hulle weet,
hierdie keer sal ek hulle laat weet hoe sterk en magtig ek is,

16:17 *Lett. "is op al hulle weë". 16:18 *Lett. "die lyke".

HFST. 16

a Jes 40:2

b Le 26:30
Ps 106:38

c Jer 17:17

d Jer 10:5,14

e Ps 115:4
Jer 2:11
1Kor 8:4

Tweede kol.

HFST. 17

a Rig 3:7
2Kr 24:18
2Kr 33:1,3

b Jes 1:29
Ese 6:13

c 2Kn 24:11,13
Jer 15:13

d Le 26:30
Ese 6:3

e Klg 5:2

f De 28:48
Jer 16:13

g Jes 5:25
Jer 15:14

h Jes 30:1,2

i 2Kn 16:7

en hulle sal moet weet dat my naam Jehovah is."

17 "Die sonde van Juda is met 'n ysterpen neergeskryf.

Dit is met 'n diamantpunt gegraveer op* hulle hart en op die horings van hulle altare,

2 terwyl hulle kinders dink aan hulle altare en hulle heilige pale*^a

langs 'n groot boom, op die hoë heuwels,^b

3 op die berge in die oop veld. Ek sal jou rykdom, al jou skatte, aan jou vyande gee^c

– ja, jou offerhoogtes, weens die sonde in al jou gebiede.^d

4 Uit jou eie sal jy jou erfdeel afstaan wat ek aan jou gegee het.^e

En ek sal maak dat jy jou vyande dien in 'n land wat jy nie ken nie,^f

want jy het my woede soos 'n vuur aangesteek.*^g
Dit sal vir altyd brand."

5 Dit is wat Jehovah sê: "Vervloek is die man* wat op mense vertrou,^h

wat op die krag van mense staatmaak*ⁱ
en wie se hart van Jehovah af wegdraai.

6 Hy sal soos 'n eensame boom in die woestyn word.

Hy sal nie sien wanneer die goeie kom nie,
maar hy sal in dorre plekke in die wildernis woon,
in 'n soutland waar niemand kan woon nie.

17:1 *Of "op die tafel van". 17:2 *Sien Woordelys. 17:4 *Of moontlik "want soos 'n vuur is jy in my woede aangesteek". 17:5 *Of "sterk man". [#]Lett. "wat vlees sy arm maak".

- 7 Geseënd is die man* wat op Jehovah vertrou, wie se vertrou in Jehovah is.^a
- 8 Hy sal soos 'n boom word wat by die water geplant is, wat sy wortels na die stroom uitstoot. Hy sal nie opmerk wanneer daar hitte kom nie, maar sy blare sal altyd floreer.^b En in die jaar van droogte sal hy nie angstig wees nie, en hy sal ook nie ophou om vrugte voort te bring nie.
- 9 Die hart is bedriegliker* as enigiets anders en is desperaat.^{#c} Wie kan dit ken?
- 10 Ek, Jehovah, deursoek die hart^d en ondersoek die diepste gedagtes* om aan elkeen te gee volgens sy dade, volgens die vrug van sy werke.^e
- 11 Soos 'n patrys wat byme-kaarmaak wat sy nie gelê het nie, so is hy wat rykdom verkry deur oneerlik te wees.^{*f} Dit sal hom verlaat wanneer hy middeljarig is, en op die ou end sal hy verstandeloos wees.”
- 12 'n Glorieryke troon, wat van die begin af verheerlik is, is die plek van ons heiligdom.^g
- 13 O Jehovah, die hoop van Israel,

17:7 *Of “sterk man”. 17:9 *Of “verraderliker”. #Of moontlik “ongeneeslik”. 17:10 *Of “diepste emosies”. Lett. “niere”. 17:11 *Of “wat rykdom verkry, maar nie deur geregtigheid nie”.

HFST. 17

a Ps 34:8
Ps 146:5
Jes 26:3

b Ps 1:3
Ps 92:12,13

c Ge 6:5
Ge 8:21
Spr 28:26

d 1Sa 16:7
1Kr 28:9
Spr 17:3
Spr 21:2

e Ro 2:6
Ga 6:7
Op 2:23
Op 22:12

f Spr 28:20
Jes 1:23
Jak 5:4

g 2Kr 2:5
Jes 6:1

Tweede kol.

a Ps 73:27
Jes 1:28

b Jer 2:13
Op 22:1

c Jer 15:20

d Jes 5:19
2Pe 3:4

e Jer 15:15
Jer 20:11

f Jer 18:23

almaal wat u verlaat, sal verneder word.

Dié wat van u* afvallig word, sal in die stof geskryf word,^a

want hulle het Jehovah, die bron van lewende water, verlaat.^b

14 Maak my gesond, o Jehovah, en ek sal gesond wees.

Red my, en ek sal gered wees,^c

want u is die een wat ek loof.

15 Kyk! Daar is dié wat vir my sê:

“Waar is die woord van Jehovah?^d

Laat dit asseblief kom!”

16 Maar wat my betref, ek het nie opgehou om 'n herder te wees wat u volg nie,

en ek het ook nie gesmag na die dag van rampspoed nie.

U weet goed wat my lippe alles gesê het.

Dit het alles voor u plaasgevind!

17 Moenie vir my iets skrikwekkends word nie.

U is my skuilplek in die dag van rampspoed.

18 Laat my vervolgers verneder word,^e

maar moenie toelaat dat ek verneder word nie.

Laat hulle baie bang word, maar moenie toelaat dat ek baie bang word nie.

Bring die dag van rampspoed oor hulle,^f

en verpletter hulle en vernietig hulle heeltemal.*

19 Dit is wat Jehovah vir my gesê het: “Gaan staan in die poort van die kinders van die

17:13 *Lett. “van my”. Verwys blykbaar na Jehovah. 17:18 *Of “vernietig hulle twee keer”.

volk waardeur die konings van Juda in- en uitgaan en in al die poorte van Jerusalem.^a **20** Jy moet vir hulle sê: 'Hoor die woord van Jehovah, o konings van Juda, die hele volk van Juda en al die inwoners van Jerusalem, wat deur hierdie poorte ingaan. **21** Dit is wat Jehovah sê: "Sorg dat julle nie op die Sabbatdag enige vraag dra of dit deur die poorte van Jerusalem inbring nie."^b **22** Julle mag geen vraag op die Sabbatdag uit julle huise bring nie, en julle mag geen werk doen nie.^c Hou die Sabbatdag sodat dit heilig sal wees, net soos ek julle voorvaders beveel het.^d **23** Maar hulle het nie geluister of aandag geskenk nie, en hulle was hardkoppig en het geweier* om gehoorsaam te wees of om dissipline te aanvaar."^e

24 "“Maar as julle my streng gehoorsaam,” sê Jehovah, “moet julle nie enige vraag deur die poorte van hierdie stad op die Sabbatdag inbring nie en moet julle die Sabbatdag hou sodat dit heilig sal wees deur nie werk daarop te doen nie.^f **25** Dan sal konings en leiers wat op die troon van Dawid sit,^g deur die poorte van hierdie stad inkom. Hulle en hulle leiers, die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem sal in strydwaens en op perde ry,^h en hierdie stad sal vir altyd bewoon word. **26** Mense sal uit die stede van Juda, uit die plekke om Jerusalem, uit die land van Benjamin,ⁱ uit die laagland,^j uit die bergstreek en uit die Negeb* kom en heelbrandoffers,^k offerandes,^l graanoffers,^m wierook en dankoffers na die huis van Jehovah bring.ⁿ

17:23 *Lett. "hulle het hulle nek verhard". 17:26 *Of "suide".

HFST. 17

a Jer 7:2

b Ne 13:19

c Eks 20:9, 10
Le 23:3

d Eks 31:13

e Jes 48:4
Ese 20:13

f De 5:12-14

g Ps 132:11

h Jer 22:4

i Jer 32:44

j Jer 33:13

k Le 1:3

l Esr 3:3

m Le 2:1, 2

n Ps 107:22
Ps 116:17
Jer 33:10, 11

Tweede kol.

a 2Kn 25:9, 10
Jer 39:8

b 2Kn 22:16, 17
Klg 4:11

HFST. 18

c Jer 19:1

d Ro 9:20, 21

e Jer 1:10
Jer 12:14
Jer 25:9
Jer 45:4

f 1Kn 8:33, 34
Ps 106:45
Jer 7:3
Jer 26:3
Ese 18:21
Jl 2:13
Jon 3:5, 10

27 "“Maar as julle my nie gehoorsaam nie en nie die Sabbatdag hou sodat dit heilig kan wees nie en julle op die Sabbatdag vrae dra en dit deur die poorte van Jerusalem inbring, dan sal ek haar poorte aan die brand steek, en die vuur sal die versterkte torings van Jerusalem beslis verteer,^a en dit sal nie geblus word nie.”"^b

18 Dit is die boodskap wat Jeremia van Jehovah ontvang het: **2** "Staan op en gaan na die huis van die pottebakker,^c en daar sal ek jou my woorde laat hoor."

3 Ek het toe na die huis van die pottebakker gegaan, en hy was besig om werk op die pottebakkerswiele te doen.

4 Maar die houër wat die pottebakker besig was om met die klei te maak, is in sy hand bederf. Daarom het die pottebakker weer begin en 'n ander houër daarvan gemaak, net soos hy goedgesink het.*

5 Toe het Jehovah met my gepraat en gesê: **6** "Kan ek nie met julle maak net soos hierdie pottebakker gemaak het nie, o huis van Israel?" sê Jehovah. 'Kyk! Soos die klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel.^d

7 As ek ooit sê dat ek 'n nasie of 'n koninkryk wil uitruk en afbreek en vernietig^e **8** en daardie nasie hulle goddeloosheid waarvan ek gepraat het, laat vaar, sal ek van gedagte verander aangaande* die rampspoed wat ek oor hulle wou bring.^f

9 Maar as ek ooit sê dat ek 'n nasie of 'n koninkryk wil opbou en plant **10** en hulle doen wat sleg is in my oë en nie my stem gehoorsaam nie, dan sal ek

18:4 *Lett. "soos dit reg was in die oë van die pottebakker om te maak". 18:8 *Of "spyt voel oor".

van gedagte verander aangaande* die goeie wat ek vir hulle wou doen.^f

11 “Sê nou asseblief vir die manne van Juda en vir die inwoners van Jerusalem: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Kyk, ek is besig om rampspoed voor te berei* en iets slegs teen julle uit te dink. Hou asseblief op om slegte dinge te doen, en verander julle weë en julle gebruikte.””^a

12 Maar hulle het gesê: “Dit is hopeloos!^b Want ons sal ons eie gedagtes volg, en ons elkeen sal optree volgens die hardkopigheid van sy goddelose hart.”^c

13 Daarom sê Jehovah:

“Vra asseblief self onder die nasies.

Wie het al ooit van so iets gehoor?

Die maagd van Israel het ’n baie slegte ding gedoen.^d

14 Verdwyn die sneeu op die rotse van die berghange van die Li’banon?

Of sal koel waters wat van ver af vloei, opdroog?

15 Maar my volk het my vergeet.^e

Want hulle bring offerandes* aan iets waardeloos,^f en hulle laat mense struikel op hulle weë, die paaie van lank gelede,^g

om te loop op agterpaaie wat nie gelyk is nie,^h

16 om hulle land iets skokkends te maak^h

en iets waaroor daar vir ewig gefluit sal word.ⁱ

Elkeen wat daar verbygaan, sal geskok staar en sy kop skud.^j

17 Soos die oostewind, sal ek hulle voor die vyand verstrooi.

18:10 *Of “spyt voel oor”. **18:11** *Lett. “te vorm”. **18:15** *Of “offer-rook”. ^aOf “wat nie opgevolg is nie”.

HFST. 18

a Jes 1:16
Ese 18:23

b Jer 2:25

c De 29:19, 20
Jer 7:24

d Jer 2:13

e Jer 2:19
Jer 3:21

f Jer 10:14, 15

g Jer 6:16

h Le 26:33
Ese 6:14

i 1Kn 9:8
Jer 19:8
Klg 2:15
Mi 6:16

j De 28:37

Tweede kol.

a De 31:17

b Jer 11:19

c Ps 35:7

d Jer 12:3

e Klg 5:3

f 2Kr 36:17

g Ps 38:12

In die dag van hulle rampspoed sal ek hulle my rug laat sien, en nie my gesig nie.”^a

18 En hulle het gesê: “Kom, laat ons ’n plan beraam teen Jeremia,^b want die wet* van ons priesters en die raad van die wyse manne en die woord van die profete sal nie verdwyn nie. Kom en laat ons teen hom praat^c en geen aandag skenk aan wat hy sê nie.”

19 Skenk tog aandag aan my, o Jehovah, en luister na wat my teenstanders sê.

20 Moet die goeie met slegtheid terugbetaal word?

Want hulle het ’n vanggat vir my lewe* gegrawe.^c

Onthou hoe ek voor u gestaan het om goed van hulle te praat,

om u woede teen hulle te laat bedaar.

21 Tref hulle kinders dus met hongersnood,

en lewer hulle oor aan die mag van die swaard.^d

Mag hulle vrouens hulle kinders verloor en weduwees word.^e

Mag hulle manne sterf as gevolg van ’n dodelike plaag,

mag hulle jong manne deur die swaard doodgemaak word in die geveg.^f

22 Laat ’n geskreeu uit hulle huise gehoor word

wanneer u skielik rowers teen hulle bring.

Want hulle het ’n gat gegrawe om my te vang en het strikke gestel vir my voete.^g

18:18 *Of “onderrigting”. ^aLett. “hom met die tong slaan”. **18:20** *Of “siel”.

23 Maar u, o Jehovah, is deeglik bewus van al hulle planne teen my om my dood te maak.^a Moenie hulle oortreding bedek nie, en moenie hulle sonde voor u uitwis nie. Laat hulle voor u struikel^b wanneer u in u woede teen hulle optree.^c

19 Dit is wat Jehovah gesê het: “Gaan koop ’n kleifles by ’n pottebakker.^d Neem van die ouermanne van die volk en van die ouermanne van die priesters saam, **2** en gaan uit na die Vallei van die Seun van Hinnom,^e by die ingang van die Potskerwepoort. En verkondig daar die woorde wat ek vir jou sê. **3** Jy moet sê: ‘Hoor die woord van Jehovah, o konings van Juda en inwoners van Jerusalem. Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê:

“‘Ek staan op die punt om rampspoed oor hierdie plek te bring, en enigiemand wat hiervan hoor, sal sy ore nie kan glo nie.* **4** Dit is omdat hulle my verlaat het^f en hierdie plek onherkenbaar gemaak het.^g Hier bring hulle offerandes aan ander gode, wat hulle en hulle voorvaders en die konings van Juda nie geken het nie, en hulle het hierdie plek gevul met die bloed van die onskuldiges.^h **5** Hulle het die offerhoogtes van Baäl gebou om hulle seuns in die vuur te verbrand as heelbrandoffers aan Baäl,ⁱ iets wat ek nie beveel het of van gepraat het nie en wat nooit eers in my hart opgekom het nie.’”^j

6 “‘Daarom kom die dae,” sê Jehovah, “wanneer hierdie plek

19:3 *Lett. “se ore sal tuit”. **19:5** *Of “waaraan ek nooit eers gedink het nie”.

HFST. 18
a Jer 11:19, 20
b Ps 35:4
c Jer 15:15

HFST. 19
d Jer 18:2
e Jos 15:8, 12
2Kr 28:1, 3
Jer 7:31
f 2Kn 22:16, 17
Jes 65:11

g 2Kr 33:1, 4
h 2Kn 21:16
Jes 59:7
Jer 2:34
Klg 4:13
Mt 23:34, 35

i 2Kr 28:1, 3
2Kr 33:1, 6
Jes 57:5
j Le 18:21
Jer 7:31
Jer 32:35

Tweede kol.
a Jer 7:32

b De 28:25, 26
Ps 79:2
Jer 7:33
Jer 16:4

c 1Kn 9:8
Jer 18:16
Klg 2:15

d Le 26:29
De 28:53
Klg 2:20
Klg 4:10
Ese 5:10

e Jer 7:32

f Ps 79:1

g Jer 8:1, 2
Sef 1:4, 5

h Jer 7:18
Jer 32:29

nie meer Tofet of die Vallei van die Seun van Hinnom genoem sal word nie, maar die Moordvallei.^a **7** Ek sal die planne van Juda en Jerusalem in hierdie plek laat misluk, en ek sal hulle deur die swaard voor hulle vyande laat val en deur die hand van dié wat hulle wil doodmaak. En ek sal hulle lyke gee as kos vir die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde.^b **8** Ek sal hierdie stad iets skokkends maak en iets om oor te fluit. Elkeen wat daar verbygaan, sal geskok staar en oor al sy plae fluit.^c **9** Ek sal hulle die vlees van hulle seuns en hulle dogters laat eet, en hulle sal elkeen die vlees van sy medemens eet as gevolg van die beleëring en hulle desperaetheid wanneer hulle vassekeer is deur hulle vyande en dié wat hulle wil doodmaak.”^d

10 “Breek dan die fles voor die oë van die manne wat saam met jou gaan **11** en sê vir hulle: ‘Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: “Dit is hoe ek hierdie volk en hierdie stad sal breek, soos iemand wat ’n pottebakker se houër breek sodat dit nooit weer heelgemaak kan word nie, en hulle sal die dooies in Tofet begrawe totdat daar nie meer plek is om hulle te begrawe nie.’”^e

12 “‘Dit is wat ek aan hierdie plek sal doen,’ sê Jehovah, ‘en aan die inwoners daarvan, om hierdie stad soos Tofet te maak. **13** En die huise van Jerusalem en die huise van die konings van Juda sal onrein word soos hierdie plek, Tofet,^f ja, al die huise waar hulle op die dakke offerandes vir die hele leërmag van die hemel gebring het^g en drankoffers vir ander gode uitgegooi het.’”^h

14 Toe Jeremia van Tofet teruggekeer het, waarheen Jeho-

vah hom gestuur het om te profeteer, het hy in die voorhof van die huis van Jehovah gestaan en vir die hele volk gesê: **15** "Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Ek bring oor hierdie stad en oor al sy dorpe al die rampspoed wat ek daarteen gespreek het, omdat hulle hardkoppig geweier het* om my woorde te gehoorsaam.'"^a

20 En Pasgur, die seun van Immer, die priester, wat ook die hoofopsigter in die huis van Jehovah was, het geluister toe Jeremia hierdie dinge geprofeteer het. **2** Toe het Pasgur die profeet Jeremia geslaan en hom in die blok gesit by^b die Boonste Benjamin-poort, wat in die huis van Jehovah was. **3** Maar die volgende dag toe Pasgur Jeremia uit die blok vrygelaat het, het Jeremia vir hom gesê:

"Jehovah het jou nie Pasgur genoem nie, maar Vrees Reg Rondom.^c **4** Want dit is wat Jehovah sê: 'Ek sal jou en al jou vriende vol vrees laat word, en hulle sal deur die swaard van hulle vyande val, en jou eie oë sal dit sien,^d en ek sal die hele Juda in die hand van die koning van Babilon gee, en hy sal hulle in ballingskap na Babilon wegneem en hulle met die swaard doodmaak.^e **5** En ek sal al die rykdom van hierdie stad, al sy middele, al sy kosbare dinge en al die skatte van die konings van Juda in die hand van hulle vyande gee.^f En hulle sal hulle stroop en hulle gevange neem en hulle na Babilon bring.^g **6** En jy, Pasgur, en almal wat in jou huis woon, julle sal in gevangenskap gaan. Jy sal na Babilon gaan en daar sterf, en

19:15 * Lett. "hulle nek verhard het".

HFST. 19

a Ne 9:17, 29
Sag 7:12

HFST. 20

b 2Kr 16:10

c Jer 6:25

d De 28:32

e Jer 25:9
Jer 39:9

f 2Kn 20:17
2Kn 24:11, 13
2Kn 25:13-15
Klg 1:10

g 2Kr 36:10
Jer 15:13

Tweede kol.

a Jer 14:14
Jer 28:15
Jer 29:21

b Ese 3:14
Mi 3:8

c Ps 22:7
Jer 15:10, 15

d 2Kr 36:16
Jer 6:10

e 1Kn 19:2, 4
Jon 1:3

f Jer 6:11
Am 3:8
Han 4:19, 20

g Ps 31:13

h Ps 38:16

i Jer 1:8
Ro 8:31

j Ps 27:2
Jer 15:15, 20
Jer 17:18

daar sal jy saam met jou vriende begrawe word omdat jy leuens vir hulle geprofeteer het."^a

7 U het my geflous,
o Jehovah, en ek is geflous.

U het u krag teen my gebruik, en u het die oorhand oor my gekry.^b

Ek het die hele dag 'n bespotting geword.

Almal bespot my.^c

8 Want elke keer as ek praat, moet ek uitroep en verkondig:

"Geweld en vernietiging!"

Die woord van Jehovah het veroorsaak dat ek die hele dag lank beledig en bespot word.^d

9 Daarom het ek gesê: "Ek sal nie oor hom praat nie, en ek sal nie meer in sy naam iets sê nie."^e

Maar in my hart was dit soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente, en ek het moeg geword om dit in te hou.

Ek kon dit nie langer verduur nie.^f

10 Want ek het talle slegte gerugte gehoor.

Vrees het my omring.^g

"Beskuldig hom. Laat ons hom beskuldig!"

Elke mens wat my vrede toewens, het gewag vir my ondergang.^h

"Miskien sal hy 'n dom fout maak,

en dan kan ons die oorhand oor hom kry en op hom wraak neem."

11 Maar Jehovah was met my soos 'n skrikwekkende vegter.ⁱ

Daarom sal my vervolgers struikel en nie die oorhand kry nie.^j

Hulle sal erg verneder word, want hulle sal nie suksesvol wees nie.

Hulle ewige vernedering sal nie vergeet word nie.^a

- 12** Maar u, o Jehovah van die leërmagte, ondersoek die regverdige.

U sien die diepste gedagtes* en die hart.^b

Laat my sien hoe u op hulle wraak neem,^c want ek het my regsak aan u toevertrou.^d

- 13** Sing vir Jehovah! Loof Jehovah!

Want hy het die arme uit die hand van slegte mense gered.

- 14** Mag die dag waarop ek gebore is, vervloek wees! Mag die dag waarop my ma aan my geboorte gegee het, nie geseënd wees nie!^e

- 15** Mag die man vervloek wees wat vir my pa goeie nuus gebring het en hom baie bly gemaak het deur te sê:

“n Seun is vir jou gebore!”

- 16** Mag daardie man soos stede word wat Jehovah verwoes het sonder om spyt te voel.

Mag hy 'n geskree in die oggend en 'n alarmsein in die middag hoor.

- 17** Hoekom het hy my nie in die baarmoeder doodgemaak, sodat my ma my graf sou word

en haar baarmoeder altyd swanger sou bly nie?!

- 18** Hoekom moes ek uit die baarmoeder kom om moeilikheid en hartseer te sien,

20:12 *Of “diepste emosies”. Lett. “niere”.

HFST. 20

a Ps 6:10

b Jer 17:10

c Ps 59:10
Jer 17:18

d Jer 11:20
1Pe 2:23

e Job 3:3
Jer 15:10

f Job 10:18

Tweede kol.

a Job 3:20

HFST. 21

b 2Kn 24:18
1Kr 3:15
2Kr 36:9, 10

c Jer 38:1

d Jer 29:25
Jer 37:3
Jer 52:24, 27

e 2Kn 25:1
Jer 32:28
Jer 39:1

f 1Sa 7:10
2Kr 14:11
Jes 37:36, 37

g Jer 32:5

h Jes 63:10
Klg 2:5

i Jes 5:25

j De 28:21, 22
Ese 7:15

k 2Kn 25:6, 7
Jer 37:17
Jer 39:5-7
Jer 52:9-11
Ese 17:20

om my dae in skande te eindig?^a

21 Jeremia het 'n boodskap van Jehovah ontvang toe koning Sedeki'a^b vir Pasgur,^c die seun van Malki'a, en Sefanja,^d die seun van Maäse'ja, die priester, na hom toe gestuur het om te vra: **2** “Vra Jehovah asseblief vir leiding namens ons, want koning Nebukadne'sar* van Babilon voer oorlog teen ons.^e Miskien sal Jehovah een van sy wonderlike werke ter wille van ons verrig, sodat hy van ons af sal wegtrek.”^f

3 Jeremia het vir hulle gesê: “Dit is wat julle vir Sedeki'a moet sê: **4** ‘Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: “Kyk, ek draai die oorlogswapens teen julle* wat in julle hande is en waarmee julle veg teen die koning van Babilon^g en teen die Galdeërs wat buite die muur is en julle beleër. En ek sal dit^h in die middel van hierdie stad versamel. **5** Ek sal teen julle veg^h met 'n uitgestrekte hand en 'n magtige arm, met groot woede en groot verontwaardiging.ⁱ **6** Ek sal die inwoners van hierdie stad met 'n vreeslike siekte tref, mens sowel as dier, en hulle sal as gevolg daarvan sterf.”^j

7 ““En daarna,” sê Jehovah, “sal ek koning Sedeki'a van Juda en sy knegte en die volk van hierdie stad – dié wat die vreeslike siektes, die swaard en die hongersnood oorleef – in die hand gee van koning Nebukadne'sar* van Babilon, in die hand van hulle vyande en in die hand van dié wat hulle wil doodmaak.^k Hy sal hulle met die swaard doodmaak. Hy sal hul-

21:2, 7 *Lett. “Nebukadresar”, 'n wisselvorm van die naam. **21:4** *Of “ek keer die oorlogswapens om”. *Of “hulle”.

le nie jammer kry nie, en hy sal ook nie medelye* hê of enige genade betoon nie.”^a

8 “En jy moet vir hierdie volk sê: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Kyk, ek gee julle die keuse tussen die weg van die lewe en die weg van die dood. **9** Dié wat in hierdie stad bly, sal deur die swaard, deur hongersnood en deur vreeslike siektes sterf. Maar almal wat uitgaan en hulle oorgee aan die Galdeërs deur wie julle beleër word, sal bly lewe, en hulle lewe sal gespaar word.”’^b

10 ““Want ek het teen hierdie stad gedraai om rampspoed daaroor te bring in plaas van iets goeds,”^c sê Jehovah. “Dit sal in die hand van die koning van Babilon gegee word,^d en hy sal dit met vuur verbrand.”^e

11 “Aan die huisgesin van die koning van Juda: Hoor die woord van Jehovah. **12** O huis van Dawid, dit is wat Jehovah sê:

“Sorg dat daar elke oggend geregtigheid is, en red die een wat beroof word uit die hand van die bedrieër,^f sodat my woede nie as gevolg van julle slegte dade^g soos ’n vuur opvlam^h en brand sonder dat enigiemand dit blus nie.”

13 Kyk, ek is teen jou, o inwoner van die vallei, o rots van die vlakke,ⁱ sê Jehovah. ‘En julle wat sê: “Wie sal teen ons afkom? En wie sal ons woonplekke binnedring?”

14 Ek sal julle straf vir wat julle gedoen het,^j sê Jehovah.

HFST. 21

a De 28:49, 50
2Kr 36:17

b Jer 27:12, 13
Jer 38:2, 17

c Jer 44:11

d Jer 38:3

e 2Kr 36:17, 19
Jer 17:27
Jer 34:2
Jer 37:10
Jer 39:8

f Jes 1:17
Jer 22:3
Ese 22:29
Mi 2:2

g Jer 7:5-7

h De 32:22
Jes 1:31
Jer 7:20

i Jer 5:9
Jer 9:9

Tweede kol.

a 2Kr 36:17, 19
Jer 52:12, 13

HFST. 22

b Le 19:15
Jes 1:17
Ese 22:7
Mi 2:2

c 2Kn 24:3, 4
Jer 7:6, 7

d 1Kn 2:12

e Jer 17:24, 25

f Jer 39:8
Mi 3:12

g Jes 6:11
Jer 7:34

‘En ek sal haar woud aan die brand steek, en die vuur sal alles om haar verteer.”’^a

22 Dit is wat Jehovah sê: “Gaan na die paleis* van die koning van Juda, en dra hierdie boodskap oor. **2** Jy moet sê: ‘Hoor die woord van Jehovah, o koning van Juda wat op die troon van Dawid sit, u en u knegte en u volk, dié wat deur hierdie poorte inkom. **3** Dit is wat Jehovah sê: “Sorg dat daar geregtigheid en regverdigheid is. Red die een wat beroof word uit die hand van die bedrieër. Moenie enige uitlander sleg behandel nie, en moet niks slegs aan enige weeskind* of weduwee doen nie.^b En moenie enige onskuldige mense in hierdie plek doodmaak nie.”^c **4** Want as julle sorg dat julle hierdie woord gehoorsaam, sal die konings wat op die troon van Dawid sit,^d deur die poorte van hierdie huis inkom en in strydwaens en op perde ry, hulle saam met hulle knegte en hulle volk.”’^e

5 “Maar as julle nie hierdie woorde gehoorsaam nie, dan sweer ek by myself,^f sê Jehovah, ‘dat hierdie huis ’n verwoeste plek sal word.’”

6 “Want dit is wat Jehovah oor die huis van die koning van Juda sê:

‘Jy is vir my soos Gi’lead, soos die spits van die Li’banon-berge.

Maar ek sal jou ’n wildernis maak.

Nie een van jou stede sal bewoon word nie.^g

7 En ek sal vernietigers teen jou aanstel,^h

22:1 *Lett. “huis”. **22:3** *Lett. “vaderlose seun”. ^f Of “onskuldige bloed . . . vergiet nie”. **22:7** *Lett. “heilig”.

elkeen met sy wapens.^a
 Hulle sal jou beste seder-
 bome afkap
 en hulle in die vuur laat val.^b

8 “En baie nasies sal by hierdie stad verbygaan en vir mekaar vra: “Hoekom het Jehovah dit aan hierdie groot stad gedoen?”^c **9** Hulle sal antwoord: “Omdat hulle die verbond van Jehovah hulle God verlaat het en voor ander gode neergebuig het en hulle gedien het.”^d

10 Moenie huil oor die een wat dood is nie, en moenie oor hom treur nie.
 Huil eerder bitterlik oor die een wat weggaan, want hy sal nie weer terugkeer om die land van sy geboorte te sien nie.

11 “Want dit is wat Jehovah sê oor Sallum,^{*e} die seun van Josi'a, die koning van Juda wat in die plek van sy pa, Josi'a,^f regeer en wat uit hierdie plek uitgegaan het: ‘Hy sal nie weer hierheen terugkeer nie. **12** Want hy sal sterf in die plek waarheen hulle hom in ballingskap weggeneem het, en hy sal hierdie land nie meer sien nie.’^g

13 Dit sal sleg gaan met die een wat sy huis bou met onregverdigheid, en sy bo-kamers met oneerlikheid, wat sy medemens verniet vir hom laat werk en weier om sy loon te betaal.^h

14 Die een wat sê: ‘Ek gaan vir my ’n groot huis bou met groot bo-kamers. Ek sal vensters daarin sit, en panele van sederhout, en ek sal dit rooi* verf.’

22:11 *Ook Joahas genoem. 22:14 *Lett. “met vermiljoen”.

HFST. 22

a Ese 9:1

b Jer 21:14

c De 29:24-26
 1Kn 9:8, 9
 Klg 2:15

d 2Kn 22:16, 17

e 1Kr 3:15
 2Kr 36:1

f 2Kn 23:29, 30

g 2Kn 23:34
 2Kr 36:4

h Le 19:13
 Mi 3:9, 10

Tweede kol.

a 2Kn 22:1, 2
 2Kn 23:23, 25

b 2Kn 23:34
 2Kr 36:4

c Jer 36:30

d 2Kr 36:5, 6

e De 32:49

15 Sal jy bly regeer omdat jy meer sederhout as ander gebruik?
 Jou pa het ook geëet en gedrink, maar hy het geregtigheid en regverdigheid uitgeoefen,^a en dit het goed gegaan met hom.

16 Hy het die wettige eis van die hulpelose en die arme verdedig, en daarom het dit goed gegaan.
 ‘Is dit nie wat dit beteken om my te ken nie?’
 sê Jehovah.

17 ‘Maar jou oë en jou hart is net daarop gerig om oneerlike wins te maak, om onskuldige mense dood te maak* en om te bedrieg en af te pers.’

18 “Daarom sê Jehovah oor Joja'kim,^b die seun van Josi'a, die koning van Juda:

‘Hulle sal nie oor hom treur en sê:
 “Ag, my broer! Ag, my suster!” nie.

Hulle sal nie oor hom treur en sê:
 “Ag, o heer! Ag, sy majesteit!” nie.

19 Met die begrafnis van ’n donkie sal hy begrawe word,^c rondgesleep en weggegooi buite die poorte van Jerusalem.’^d

20 Klim op die Li'banon-berge en skree, laat jou stem in Basan gehoor word, en skree van Aba'rim^e af,

22:17 *Of “onskuldige bloed te vergiet”.

want almal wat jou intens liefgehad het, is verpletter.^a

21 Ek het met jou gepraat toe jy veilig gevoel het.

Maar jy het gesê: 'Ek sal nie gehoorsaam wees nie.'^b

Dit was jou weg van jou jong dae af,

want jy het nie my stem gehoorsaam nie.^c

22 'n Wind sal die herder van al jou herders wees,^d en dié wat jou intens liefhet, sal gevange geneem word.

Dan sal jy skaam kry en verneder word weens al jou rampspoed.

23 O jy wat op die Li'banon-berge^e woon, veilig tussen die sederbome,^f

hoe sal jy tog kreun wanneer skerp pyne oor jou kom,

pyn* soos dié van 'n vrou wat geboorte gee!"^g

24 "So waar as wat ek lewe," sê Jehovah, 'al was Gonja,^{*h} die seun van Joja'kim,ⁱ die koning van Juda, die seëlring aan my regterhand, sou ek jou daarvan afruk! **25** Ek sal jou in die hand gee van dié wat jou wil doodmaak, in die hand van dié vir wie jy bang is, in die hand van koning Nebukadne'sar* van Babilon en in die hand van die Galdeërs.^j **26** En ek sal jou en jou ma, wat aan jou geboorte gegee het, uitdryf na 'n ander land wat nie julle geboorteland is nie, en daar sal julle sterf. **27** Hulle sal nooit weer terugkeer na die land waarna hulle smag* nie.^k

22:23 *Lett. "geboortepyne". **22:24** *Ook Jojagin en Jegonja genoem. **22:25** *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **22:27** *Of "waar-na hulle siel verlang".

HFST. 22

a 2Kn 24:7

b Jer 2:31
Jer 6:16

c De 9:7
Rig 2:11

d Jer 23:1
Ese 34:2

e Jer 22:6

f Jes 2:12, 13

g Jer 4:31
Jer 6:24

h 2Kn 24:6
Jer 22:28
Jer 37:1
Mt 1:11

i 2Kn 23:34

j 2Kn 24:12, 15
2Kr 36:9, 10
Jer 24:1
Jer 29:1, 2

k Jer 52:31-34

Tweede kol.

a 1Kr 3:17, 18

b 2Kr 36:9, 10
Jer 36:30
Mt 1:12

HFST. 23

c Jer 10:21
Jer 50:6
Ese 34:2

d Ese 34:5

e Jes 11:11
Jes 35:10
Jer 29:14
Jer 31:8

f Jer 50:19
Ese 34:14
Mi 2:12

g De 30:3, 5
Am 9:14
Sag 10:8

h Jer 3:15
Joh 21:15
Han 20:28

i Jes 11:1
Jes 53:2
Jer 33:15, 16
Sag 3:8
Mt 2:23

28 Is hierdie man, Gonja, net 'n verwerpte, gebreekte pot, 'n houër wat niemand wil hê nie?

Hoekom is hy en sy nakomelinge neergegooi en uitgedryf na 'n land wat hulle nie ken nie?"^a

29 O aarde,* aarde, aarde, hoor die woord van Jehovah.

30 Dit is wat Jehovah sê: 'Skryf neer dat hierdie man kinderloos is, 'n man wat geen sukses in sy leeftyd* sal behaal nie, want nie een van sy nakomelinge sal daarin slaag om op die troon van Dawid te sit en weer in Juda te regeer nie.'"^b

23 "Dit sal sleg gaan met die herders wat die skape van my weiveld vernietig en verstrooi!" sê Jehovah.^c

2 Daarom sê Jehovah, die God van Israel, die volgende teen die herders wat my volk lei: "Julle het my skape verstrooi. Julle het hulle bly uitmekaardryf, en julle het nie aan hulle aandag geskenk nie."^d

"Daarom sal ek my aandag op julle rig as gevolg van julle slegte dae," sê Jehovah.

3 "Dan sal ek die oorblyfsel van my skape bymekaarmaak uit al die lande waarheen ek hulle verstrooi het,^e en ek sal hulle terugbring na hulle weiveld,^f en hulle sal vrugbaar wees en baie word.^g **4** Ek sal herders oor hulle aanstel wat werklik herders sal wees vir hulle.^h Hulle sal nie meer bang wees of vrees nie, en nie een sal vermis word nie," sê Jehovah.

5 "Die dae kom," sê Jehovah, "wanneer ek vir Dawid 'n regverdige spruit*ⁱ sal voortbring.

22:29 *Of "land". **22:30** *Lett. "dae". **23:5** *Of "erfgenaam".

En 'n koning sal regeer^a en insig toon en sal sorg dat daar geregtigheid en regverdigheid in die land is.^b **6** In sy dae sal Juda gered word,^c en Israel sal in veiligheid woon.^d En dit is die naam wat hy genoem sal word: Jehovah Is Ons Regverdigheid.”^e

7 “Maar die dae kom,” sê Jehovah, “wanneer hulle nie meer sal sê: ‘So waar as wat Jehovah lewe, wat die Israeliete uit Egipte uitgelei het!’ nie,^f **8** maar eerder: ‘So waar as wat Jehovah lewe, wat die nakomelinge van die huis van Israel uitgelei het en teruggebring het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen ek hulle verstrooi het,’ en hulle sal in hulle eie land woon.”^g

9 Wat die profete betref:

My hart is gebreek binne-in my.

Al my bene bewe.

Ek is soos 'n man wat dronk is,

en soos 'n man wat deur wyn oorweldig is,

as gevolg van Jehovah en as gevolg van sy heilige woorde.

10 Want die land is vol egbrekers.^h

As gevolg van die vloek het die land begin treurⁱ

en het die weivelde van die wildernis opgedroog.^j

Hulle weg is goddeloos, en hulle misbruik hulle mag.

11 “Die profeet sowel as die priester het onrein* geword.^k

Selfs in my eie huis het ek hulle goddeloosheid gevind.”^l sê Jehovah.

12 “Daarom sal hulle weg glibberig en donker word.”^m

23:11 *Of “afvallig”.

HFST. 23

a Lu 1:32, 33

b Jes 9:7
Jes 11:3, 4
Jes 32:1

c Sag 10:6

d De 33:28
Jer 32:37
Sag 14:11

e Jes 54:17

f Jer 16:14, 15

g Jes 43:5
Ese 34:13
Sef 3:20

h Jer 3:8, 9
Jer 5:7
Jer 13:27
Ese 22:11

i Jes 24:4
Jl 1:10

j Jer 12:4

k Jes 28:7
Jer 5:31
Jer 6:13
Ese 22:25
Sef 3:4

l 2Kr 33:1, 5
2Kr 36:14
Jer 7:11
Ese 8:10, 11
Ese 23:39

m Jer 13:16

Tweede kol.

a Ese 16:46

b Jer 29:21, 23

c Jer 23:26

d Jes 3:9

e Ge 18:20
De 32:32
Jes 1:10
Jud 7

f Jer 8:14
Jer 9:15

g Jer 27:9
Jer 29:8

h Klg 2:14

i Jer 14:14
Ese 13:3
Ese 22:28

Hulle sal gestamp word en val.

Want ek sal rampspoed oor hulle bring in die jaar van afrekening,” sê Jehovah.

13 “En by die profete van Samari'a^a het ek iets walglik gesien.

Hulle profesieë kom van Baäl af, en hulle mislei my volk Israel.

14 En by die profete van Jerusalem het ek aaklige dinge gesien.

Hulle pleeg egbreuk,^b en hulle lewe is vol leuens.^c

Hulle spoor slegte mense aan,^d

en hulle draai nie weg van hulle goddeloosheid nie.

Hulle almal is vir my soos Sodom,^d

en haar inwoners is soos Gomor'ra.”^e

15 Daarom is dit wat Jehovah van die leërmagte teen die profete sê:

“Ek laat hulle als* eet, en ek gee hulle giftige water om te drink.^f

Want die profete van Jerusalem het afvalligheid oor die hele land versprei.”

16 Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:

“Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie.^g

Hulle mislei julle.*

Die visioen wat hulle vertel, kom uit hulle eie hart,^h

nie uit die mond van Jehovah nie.ⁱ

23:14 *Lett. “Hulle versterk die hande van kwaaddoeners”. **23:15** *'n Soort bitter plant. **23:16** *Of “Hulle gee julle leë hoop”.

- 17** Hulle sê keer op keer vir dié wat my nie respekteer nie: 'Jehovah het gesê: "Julle sal vrede geniet."^a
En hulle sê vir elkeen wat hardkoppig is en sy eie hart volg: 'Geen rampspoed sal oor julle kom nie.'^b
- 18** Want wie is deel van die intieme vriendekring van Jehovah om sy woord te sien en te hoor?
Wie het aan sy woord aandag geskenk om dit te hoor?
- 19** Die windstorm van Jehovah sal met woede losbars. Dit sal soos 'n stormagtige warrelwind oor die goddeloses kom.^c
- 20** Die woede van Jehovah sal nie terugdraai totdat hy uitgevoer en gedoen het wat hy hom in sy hart voorgeneem het nie. Aan die einde van die dae sal julle dit duidelik verstaan.
- 21** Ek het nie die profete gestuur nie, en tog het hulle gehardloop.
Ek het nie met hulle gepraat nie, en tog het hulle geprofeteer.^d
- 22** Maar as hulle deel was van my intieme vriendekring, sou hulle my volk my woorde laat hoor het, en sou hulle gesorg het dat hulle hulle slegte weë en goddelose dade los."^e
- 23** "Is ek net 'n God wat naby is," sê Jehovah, "en nie ook 'n God van ver af nie?"
- 24** "Kan enige mens in 'n skuilplek wegkruip waar ek hom nie kan sien nie?"^f sê Jehovah.

HFST. 23

a Jer 4:10
Jer 6:13, 14
Jer 8:11
Ese 13:10

b Mi 3:11

c Jer 25:32
Jer 30:23, 24d Jer 14:14
Jer 27:15
Jer 29:8, 9

e Jer 25:4, 5

f Ge 16:7, 13
Spr 15:3
Am 9:2
Heb 4:13

Tweede kol.

a Ps 139:7

b De 18:20
Jer 27:9
Jer 29:21, 23

c Jer 14:14

d Rig 3:7
2Kn 21:1, 3

e Jer 5:14

f Heb 4:12

g De 18:20
Jer 14:15
Ese 13:2, 3

h Ese 13:7

i Sef 3:4

j Jer 7:8
Klg 2:14

"Vul ek nie die hemel en die aarde nie?"^a sê Jehovah.

25 "Ek het gehoor hoe die profete wat in my naam leuens profeteer, sê: 'Ek het 'n droom gehad! Ek het 'n droom gehad!'^b

26 Hoe lank sal dit in die hart van die profete wees om leuens te profeteer? Hulle is profete van die bedrog van hulle eie hart.^c **27** Hulle wil my volk laat vergeet van my naam deur middel van die drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle vaders my naam as gevolg van Baäl^d vergeet het. **28** Laat die profete wat 'n droom het, die droom vertel, maar die een wat my woord het, moet my woord getrou oordra."

"Wat het die strooi met die graan in gemeen?" sê Jehovah.

29 "Is my woord nie soos 'n vuur nie,"^e sê Jehovah, "en soos 'n hamer* wat die groot rots stukkend slaan nie?"^f

30 "Daarom is ek teen die profete," sê Jehovah, "wat my woorde by mekaar steel."^g

31 "Ek is teen die profete," sê Jehovah, "wat hulle tong gebruik om te sê: 'Hy sê!'"^h

32 "Ek is teen die profete van valse drome," sê Jehovah. "Hulle vertel dit oor en mislei my volk met hulle leuens en hulle grootpraterij."ⁱ

"Maar ek het hulle nie gestuur of vir hulle 'n opdrag gegee nie. Hulle sal hierdie volk dus glad nie bevoordeel nie,"^j sê Jehovah.

33 "En wanneer hierdie volk of 'n profete of 'n priester vir jou vra: 'Wat is die las* van Jehovah?' dan moet jy vir hulle

23:29 *Of "smeehamer". **23:33** *Of "boodskap wat 'n swaar las is". Die Hebreuse woord het 'n dubbele betekenis: "'n gewigtige verklaring van God' of "iets wat 'n las is".

sê: “Julle is die las! En ek sal julle verwerp,”^a sê Jehovah.’ **34** As ’n profeet of ’n priester of die volk sê: ‘Dit is die las* van Jehovah!’ sal ek my aandag op daardie man en sy huisgesin rig. **35** Dit is wat elkeen vir sy naaste en vir sy broer vra: ‘Wat het Jehovah geantwoord? En wat het Jehovah gesê?’ **36** Maar julle moenie meer van die las* van Jehovah praat nie, want die las* is elkeen se eie woord, en julle het die woorde van die lewende God, Jehovah van die leërmagte, ons God, verander.

37 “Dit is wat jy vir die profeet moet vra: ‘Watter antwoord het Jehovah jou gegee? En wat het Jehovah gesê?’ **38** En as julle bly sê: “Die las* van Jehovah!” dan is dit wat Jehovah sê: “Omdat julle sê: ‘Hierdie woord is die las* van Jehovah’ nadat ek vir julle gesê het: ‘Moenie sê: “Die las* van Jehovah!” nie,’ **39** daarom sal ek julle oplik en ver van my af weggooi, julle sowel as die stad wat ek aan julle en julle voorvaders gegee het. **40** En ek sal ewige skande en ewige vernedering oor julle bring, wat nie vergeet sal word nie.’”^b

24 Toe het Jehovah vir my twee mandjies vye gewys wat voor die tempel van Jehovah neergesit is. Hy het dit gedoen nadat koning Nebukadnê-sar* van Babilon Jegon’ja^c die seun van Joja’kim,^d die koning van Juda, in ballingskap wegge- neem het saam met die leiers van Juda, die ambagsmanne en die metaalwerkers.^e Hy het hul-

23:34, 36, 38 *Of “boodskap wat ’n swaar las is”. **24:1** *Lett. “Nebukadnesar”, ’n wisselvorm van die naam. ^aOok Jojagin en Gonja genoem. ^bOf moontlik “bouers van verskansings”.

HFST. 23
a Jer 12:7

b Jer 24:9
Jer 42:18
Klg 5:20
Da 9:16

HFST. 24
c Jer 22:24

d 2Kn 24:6
1Kr 3:16

Tweede kol.

a 2Kn 24:15, 16
Jer 29:1, 2

b Jer 24:8

c Esr 1:3
Jer 12:15
Jer 25:11
Jer 29:10
Ese 36:24

d Jer 1:10
Jer 30:18
Jer 32:41

e De 30:6
Jer 31:33
Ese 11:19

f Jer 30:22
Jer 32:38
Sag 8:8

g Jer 29:13

h Jer 29:17

i 2Kn 25:6, 7
Ese 12:12, 13

j Jer 44:1
Jer 46:13

k Jer 15:4
Jer 34:17

l Jer 26:4, 6
Jer 29:22

m De 28:64
Jer 29:18

le uit Jerusalem geneem en na Babilon gebring.^a **2** In die een mandjie was daar baie goeie vye, soos vroeë vye, maar in die ander mandjie was daar baie slegte vye, so sleg dat hulle nie geëet kon word nie.

3 Jehovah het toe vir my gevra: “Wat sien jy, Jeremia?” Toe het ek gesê: “Vye. Die goeie vye is baie goed, maar die slegtes is baie sleg, te sleg om te eet.”^b

4 Toe het Jehovah met my gepraat en gesê: **5** “Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: ‘Soos hierdie goeie vye, sal ek die ballinge* van Juda, wat ek uit hierdie plek na die land van die Galdeërs weggestuur het, as goed beskou. **6** Ek sal my oog op hulle hou sodat dit goed sal gaan met hulle, en ek sal hulle na hierdie land laat terugkeer.^c Ek sal hulle opbou, en ek sal nie afbreek nie. Ek sal hulle plant, en ek sal nie uitruk nie.^d **7** En ek sal hulle ’n hart gee om my te ken, dat ek Jehovah is.^e Hulle sal my volk word, en ek sal hulle God word,^f want hulle sal met hulle hele hart na my toe terugkeer.^g

8 “Maar dit is wat Jehovah sê van die slegte vye wat te sleg is om te eet:^h “Dit is hoe ek koning Sedeki’a’ van Juda sal beskou, sowel as sy hoë amptenare, die oorblyfsel van Jerusalem wat in hierdie land oorbly en dié wat in Egipte woon.ⁱ **9** Ek sal hulle iets skokkends maak vir al die koninkryke van die aarde^k as gevolg van die ramspoed wat ek oor hulle sal bring. Hulle sal ’n voorwerp van beledigings, bespottings en vervloeking^l en ’n voorbeeld* word in al die plekke waarheen ek hulle sal verstrooi.^m **10** En ek sal die

24:5 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. **24:9** *Lett. “’n spreekwoord”.

swaard,^a hongersnood en vreeslike siektes^b teen hulle stuur totdat hulle uitgeroei is uit die land wat ek aan hulle en aan hulle voorvaders gegee het.””

25 In die vierde jaar van Josi'a^c, die seun van Josi'a, die koning van Juda, dit wil sê die eerste jaar van Nebukadne'sar,* die koning van Babilon, het Jeremia 'n boodskap ontvang oor die hele volk van Juda. **2** Dit is wat die profeet Jeremia oor* die hele volk van Juda en al die inwoners van Jerusalem gesê het:

3 “Vanaf die 13de jaar van Josi'a^d die seun van Amon, die koning van Juda, tot vandag toe, gedurende hierdie 23 jaar, het Jehovah met my gepraat, en ek het keer op keer* met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie.^e **4** En Jehovah het keer op keer* al sy knegte, die profete, na julle toe gestuur, maar julle het nie geluister of aandag geskenk nie.^f **5** Hulle het gesê: ‘Keer asseblief terug, elkeen van julle van julle goddelose weë en julle goddelose dade.^g Dan sal julle lank woon in die land wat Jehovah lank gelede aan julle en julle voorvaders gegee het. **6** Moenie ander gode volg en hulle dien en voor hulle neerbuig nie, want dan beledig julle my met die werk van julle hande en dan sal ek rampspoed oor julle bring.’

7 “Maar julle wou nie na my luister nie,’ sê Jehovah. ‘Julle het my eerder beledig met die werk van julle hande, en daarom het julle rampspoed ondervind.’^h

8 “Daarom sê Jehovah van die leërmagte: “Omdat julle nie

25:1, 9 *Lett. “Nebukadresar”, 'n wisselvorm van die naam. 25:2 *Of “aan”. 25:3, 4 *Lett. “het vroeg opgestaan en”.

HFST. 24

a Le 26:33
Jer 9:16
b De 28:59
Jer 15:2
Ese 7:15

HFST. 25

c 2Kn 24:1
Jer 36:1
Jer 46:2
Da 1:1
d Jer 1:2
e Jer 7:13
Jer 13:10
f Jer 29:19
g 2Kr 17:13
Jes 55:7
Jer 18:11
Jer 35:15
Ese 18:30
Ese 33:11
h De 32:21
Ne 9:26

Tweede kol.

a Le 26:25
Jes 5:26
Jer 1:15
b Jer 27:6
Jer 43:10
c De 28:49, 50
Jer 5:15
Ese 7:24
d Ese 26:7
Ese 29:19
Hab 1:6
e Jes 24:7
Ese 26:13
f Jer 7:34
g 2Kr 36:20, 21
Da 9:2
Sag 1:12
Sag 7:5
h De 30:3
Esr 1:1, 2
Jer 29:10
i Jes 47:1
Jer 51:1
Da 5:26, 30
j Jes 13:1, 19
Jes 14:4, 23
k Jer 50:9
Jer 51:27
l Jes 14:2
Hab 2:8
m Ps 137:8
Jer 50:29
Jer 51:6, 24
Op 18:6
n Jer 51:7
Klg 4:21
Ese 23:32-34
Na 3:7, 11

my woorde gehoorsaam het nie, **9** laat ek al die families van die noorde roep,”^a sê Jehovah, “sowel as koning Nebukadne'sar* van Babilon, my kneg,^b en ek sal hulle bring teen hierdie land^c en teen sy inwoners en teen al hierdie omliggende nasies.^d Ek sal hulle vernietig en hulle iets skokkends maak, iets om oor te fluit en iets wat vir ewig verwoes sal wees. **10** Ek sal 'n einde maak aan die uitroep van vreugde en die geluid van hulle blydschap,^e die stem van die bruidegom en die stem van die bruid,^f die geluid van die handmeul en die lig van die lamp. **11** En hierdie hele land sal verwoes en iets skokkends word, en hierdie nasies sal die koning van Babilon 70 jaar lank moet dien.”^g

12 “Maar wanneer 70 jaar verby is,^h sal ek die koning van Babilon en daardie nasie straf vir hulle oortreding,ⁱ sê Jehovah, 'en ek sal die land van die Galdeërs vir altyd 'n verlate en verwoeste plek maak.^j **13** Ek sal oor daardie land al my woorde bring wat ek daarteen gesê het, alles wat in hierdie boek geskryf is wat Jeremia teen al die nasies geprofeeteer het. **14** Want baie nasies en groot konings^k sal slawe van hulle maak,^l en ek sal hulle terugbetaal volgens hulle dade en die werk van hulle hande.”^m

15 Want dit is wat Jehovah, die God van Israel, vir my gesê het: “Neem hierdie beker van die wyn van woede uit my hand, en laat al die nasies na wie ek jou stuur, dit drink. **16** En hulle sal drink en slinger en soos mal mense optree as gevolg van die swaard wat ek onder hulle instuur.”ⁿ

17 Ek het dus die beker uit die hand van Jehovah geneem

en al die nasies na wie Jehovah my gestuur het, laat drink.^a **18** Ek het begin met Jerusalem en die stede van Juda,^b haar konings en haar leiers om hulle 'n wildernis te maak, iets skokkends, iets om oor te fluit en 'n vloek,^c soos vandag die geval is.

19 Toe het ek gegaan na Faraó die koning van Egipte, sy knegte, sy hoë amptenare en sy hele volk^d **20** en al hulle gemengde bevolkings, al die konings van die land Us, al die konings van die land van die Filistyne,^e As'kelon,^f Gasa, Ekron en dié wat in Asdod oorgebly het, **21** Edom,^g Moab^h en die Ammoniete,ⁱ **22** al die konings van Tirus, al die konings van Sidon/ en die konings van die eiland in die see, **23** Dedan,^k Tema, Bus en almal wie se hare aan die kante van hulle kop geknip is,^l **24** al die konings van die Arabiere^m en al die konings van die gemengde bevolkings wat in die wildernis woon, **25** al die konings van Simri, al die konings van Elamⁿ en al die konings van die Mede,^o **26** en al die konings van die noorde wat naby en ver is, die een ná die ander, en al die ander koninkryke van die aarde wat op die oppervlak van die aarde is. En die koning van Sesag^p sal ná hulle drink.

27 "En jy moet vir hulle sê: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: "Drink en word dronk en gooi op en val sodat julle nie kan opstaan nie^q as gevolg van die swaard wat ek onder julle instuur.'" **28** En as hulle weier om die beker uit jou hand te neem om te drink, moet jy vir hulle sê: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Julle moet dit drink! **29** Want as die ramp-

25:26 *Blykbaar 'n kriptografiese naam vir Babel (Babilon).

HFST. 25

a Jer 1:10

b Jes 51:17

c Jer 24:9

d Jer 46:2

e Jer 47:1

f Jer 47:5

g Jer 49:17
Klg 4:21

h Jer 48:1

i Jer 49:1

j Jer 27:2, 3
Jer 47:4

k Jer 49:8

l Jer 9:25, 26
Jer 49:32

m Jer 49:31, 32

n Jer 49:34

o Jer 51:11

p Jer 51:41

q Jes 63:6
Hab 2:16

Tweede kol.

a 1Krn 9:7
Jer 7:12, 14
Da 9:18
Ho 12:2
Mi 6:2

b Jer 49:12
Ob 16

c Jl 3:2

d Jes 34:2, 3
Jer 25:17

e Sef 3:8

spoed wat ek bring met die stad begin wat my naam dra,^a sal julle ongestraf bly?"^b

"Julle sal nie ongestraf bly nie, want ek roep 'n swaard teen al die inwoners van die aarde,' sê Jehovah van die leërmagte.

30 "En jy moet al hierdie woorde vir hulle profeteer en vir hulle sê:

'Uit die hoogte sal Jehovah brul,

en uit sy heilige woonplek sal hy sy stem laat hoor.

Hy sal hard brul teen sy woonplek.

Hy sal uitroep soos dié wat die wynpers trap en 'n oorwinningslied sing teen al die inwoners van die aarde.'

31 "n Geraas sal tot aan die eindes van die aarde weerklink,

want Jehovah het 'n geskild met die nasies.

Hy sal alle mense persoonlik oordeel.^c

En hy sal die goddeloses aan die swaard oorlewer,' sê Jehovah.

32 Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:

'Rampspoed versprei van een nasie na die ander,^d

en 'n groot storm sal uit die mees afgeleë dele van die aarde losbars.^e

33 "'En dié wat op daardie dag deur Jehovah doodgemaak is, sal van die een einde van die aarde tot aan die ander einde van die aarde lê. Daar sal nie oor hulle getreue word nie, en hulle sal ook nie versamel of begrawe word nie. Hulle sal soos mis op die oppervlak van die aarde word.'

34 "Huil, o herders, en skree! Rul rond in die stof, o magtiges van die kudde,

want die tyd vir julle om geslag en verstrooi te word, het gekom, en julle sal soos 'n kosbare houër val!

- 35** Die herders het geen plek waarheen hulle kan vlug nie, en die magtiges van die kudde kan nie ontsnap nie.
- 36** Luister! Die geskree van die herders en die getreur van die magtiges van die kudde, want Jehovah verwoes hulle weivelde.
- 37** En die vreedsame woonplekke is leweloos gemaak as gevolg van die brandende woede van Jehovah.
- 38** Hy het sy skuilplek verlaat net soos 'n jong leeu,^a want hulle land het iets skokkends geword as gevolg van die wrede swaard en as gevolg van sy brandende woede.”

26 Kort nadat Joja'kim,^b die seun van Josi'a, koning van Juda geword het, het hierdie boodskap van Jehovah gekom: **2** “Dit is wat Jehovah sê: ‘Gaan staan in die voorhof van die huis van Jehovah en praat met* al die inwoners van die stede van Juda wat kom om by die huis van Jehovah te aanbid.’ Sê vir hulle alles wat ek jou beveel. Moenie 'n enkele woord wegneem nie. **3** Miskien sal hulle luister en sal elkeen van hulle hulle goddelose weë los, en ek sal van gedagte verander* oor die rampspoed wat ek oor hulle wil bring as gevolg van hulle goddelose dade.’”

25:38 *Of “jong maanhaarleeu”. 26:2 *Of “aangaande”. #Of “neer te buig”. 26:3 *Of “spyt voel”.

HFST. 25
a Ho 5:14

HFST. 26
b 2Kn 23:34
2Kr 36:4
Jer 25:1
Jer 35:1
Jer 36:1

c Jes 55:7
Jer 18:7, 8
Jer 36:3
Ese 18:27

Tweede kol.

a 2Kn 17:13, 14
Jer 7:12-14
Jer 25:3

b Ps 78:60

c Jer 24:9

d Jer 26:2

e Jer 36:10

f Jer 18:19, 20

g Jer 38:4

4 Sê vir hulle: “Dit is wat Jehovah sê: ‘As julle ongehoorsaam is aan my deur nie my wet* te volg wat ek aan julle gegee het nie **5** en deur nie te luister na die woorde van my knegte, die profete, wat ek keer op keer na julle toe gestuur het,* maar na wie julle nie geluister het nie,^a **6** dan sal ek hierdie huis soos Silo maak,^b en ek sal hierdie stad 'n voorbeeld maak wat al die nasies van die aarde sal gebruik wanneer hulle 'n vloek uitspreek.’”^c

7 En die priesters en die profete en die hele volk het gehoor hoe Jeremia hierdie woorde in die huis van Jehovah sê.^d **8** En nadat Jeremia alles gesê het wat Jehovah hom beveel het om vir die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: “Jy sal beslis sterf. **9** Hoekom het jy in die naam van Jehovah geprofeteer en gesê: ‘Hierdie huis sal soos Silo word, en hierdie stad sal verwoes word en sal sonder 'n enkele inwoner wees?’” En die hele volk het om Jeremia saamgedrom in die huis van Jehovah.

10 Toe die leiers van Juda hierdie woorde hoor, het hulle van die paleis* van die koning af opgegaan na die huis van Jehovah en by die ingang van die nuwe poort van Jehovah gaan sit.^e **11** Die priesters en die profete het vir die leiers en die hele volk gesê: “Hierdie man verdien die doodstraf,^f want hy het teen hierdie stad geprofeteer, net soos julle met julle eie ore gehoor het.”^g

12 Jeremia het toe vir al die leiers en die hele volk gesê: “Dit

26:4 *Of “onderrigting”. 26:5 *Lett. “vroeg opgestaan en gestuur het”. 26:10 *Lett. “huis”.

was Jehovah wat my gestuur het om al die woorde wat julle gehoor het, teen hierdie huis en hierdie stad te profeteer.^a **13** Verander dus nou julle wêen julle optrede en gehoorsaam die stem van Jehovah julle God, en Jehovah sal van gedagte verander* oor die rampspoed wat hy teen julle voorspel het.^b **14** Maar ek is in julle hand. Doen met my wat ook al goed en reg is in julle oë. **15** Maar julle moet vir seker weet dat julle onskuldige bloed oor julle en oor hierdie stad en oor die inwoners daarvan sal bring as julle my doodmaak, want Jehovah het my wel na julle toe gestuur om al hierdie woorde in julle teenwoordigheid te sê.”

16 Toe het die leiers en die hele volk vir die priesters en die profete gesê: “Hierdie man verdien nie die doodstraf nie, want hy het in die naam van Jehovah ons God met ons gepraat.”

17 Verder het party van die ouermanne van die land opgestaan en vir die hele volk wat daar bymekaar was, gesê: **18** “Miga^c van More^d set het in die tyd van koning Hiski'a^d van Juda geprofeteer, en hy het vir die hele volk van Juda gesê: ‘Dit is wat Jehovah van die leërmagte te sê:

“Sion sal soos 'n landery omgeploeg word, Jerusalem sal verwoes* word,^e

en die Tempelberg sal soos die hoogtes in 'n woud* word.”^f

19 “Het koning Hiski'a van Juda en die hele Juda hom toe doodgemaak? Nee, hy het Jehovah gevrees en Jehovah ge-

26:13 *Of “spyt voel”. **26:18** *Of “'n ruïne”. ^aOf “soos 'n beboste heuwel”.

HFST. 26

a Jer 1:17

b Jer 7:3
Jer 36:3
Ese 18:32
Jon 3:9

c Mi 1:1

d 2Kr 29:1

e Ps 79:1
Jer 9:11

f Mi 3:12

Tweede kol.

a 2Kr 32:26

b Jos 15:20, 60
Jos 18:11, 14
1Sa 7:2c 2Kn 23:34
2Kr 36:5

d 2Kr 16:10

e Jer 36:11, 12

f Jer 2:30

g 2Kn 22:12, 13
Jer 39:13, 14
Jer 40:5

h 2Kn 22:10

i 1Kn 18:4

HFST. 27

j Ese 25:12, 13
Ob 1k Jer 48:1
Ese 25:8, 9l Jer 49:1, 2
Ese 25:2m Jes 23:1
Jer 47:4
Ese 26:3n Jes 23:4
Ese 28:21
Jl 3:4

smeeek om genadig te wees,* sodat Jehovah van gedagte verander het[#] oor die rampspoed wat hy teen hulle voorspel het.^a Ons staan dus op die punt om groot rampspoed oor onself te bring.

20 “En daar was 'n ander man wat in die naam van Jehovah geprofeteer het, naamlik Uri'a, die seun van Sema'ja, uit Kir'jat-Jea'rim,^b wat teen hierdie stad en hierdie land geprofeteer het met woorde soos dié van Jeremia. **21** Koning Joja'kim^c en al sy sterk manne en al die leiers het sy woorde gehoor, en die koning het hom probeer doodmaak.^d Toe Uri'a daarvan hoor, het hy dadelik bang geword en na Egipte gevlug. **22** Toe het koning Joja'kim vir El'natan,^e die seun van Agbor, na Egipte gestuur, en hy het ander manne saam met hom gestuur. **23** Hulle het Uri'a uit Egipte gebring en hom na koning Joja'kim geneem, wat hom toe met die swaard doodgemaak het^f en sy lyk in die begraafplaas van die gewone mense gegooi het.”

24 Maar Ahi'kam,^g die seun van Safan,^h het Jeremia bygestaan, en daarom is hy nie aan die volk oorgelewer om doodgemaak te word nie.ⁱ

27 Kort nadat Joja'kim, die seun van koning Josi'a, van Juda koning geword het, het Jeremia hierdie boodskap van Jehovah ontvang: **2** “Dit is wat Jehovah vir my gesê het: ‘Maak vir jou rieme en jukke, en sit dit op jou nek. **3** Stuur dit dan aan die koning van Edom,^j die koning van Moab,^k die koning van die Ammoniete,^l die koning van Tirus^m en die koning van Sidon.ⁿ Gee dit vir die bood-

26:19 *Of “en die aangesig van Jehovah probeer versag”. [#]Of “spyt gevoel het”.

skappers wat na Jerusalem, na koning Sedeki'a van Juda, gekom het. **4** Gee hulle hierdie bevel vir hulle meesters:

“Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê, en dit is wat julle vir julle meesters moet sê: **5** 'Ek het die aarde, die mense en die diere op die oppervlak van die aarde deur my groot krag en deur my uitgestrekte arm gemaak, en ek gee dit aan wie ek ook al wil.*^a **6** En nou het ek al hierdie lande in die hand van my kneg, koning Nebukadne'sar^b van Babilon, gegee. Ek het selfs die wilde diere van die veld aan hom gegee om hom te dien. **7** Al die nasies sal hom en sy seun en sy kleinseun dien totdat die tyd vir sy eie land kom,^c wanneer baie nasies en groot konings hom hulle slaaf sal maak.^d

8 “As enige nasie of koninkryk weier om koning Nebukadne'sar van Babilon te dien en weier om hulle nek onder die juk van die koning van Babilon te sit, sal ek daardie nasie met die swaard,^e hongersnood en vreeslike siektes straf,' sê Jehovah, 'totdat ek deur sy hand 'n einde aan hulle gemaak het.'

9 “Moet dus nie na julle profete, julle waarsëers, julle dromers en julle towenaars luister nie. Hulle sê vir julle: "Julle sal nie die koning van Babilon dien nie." **10** Want hulle profeteer leuens vir julle, en as gevolg daarvan sal julle ver van julle land weggeneem word, en ek sal julle verstrooi, en julle sal vergaan.

11 “Maar ek sal die nasie wat sy nek onder die juk van die koning van Babilon bring en wat hom dien, toelaat om in sy land

27:5 *Lett. "aan wie dit reg is in my oë".

HFST. 27

a Da 4:17

b Jer 25:9
Jer 28:14
Jer 43:10
Da 2:37, 38

c Ps 137:8
Jer 50:14, 27
Da 5:26, 30

d Jer 25:12, 14
Jer 51:11

e Ese 26:7, 8

Tweede kol.

a 2Kn 24:17
1Kr 3:15
Jer 37:1

b Jer 38:2, 20

c 2Kn 25:7

d 2Kn 25:3

e Jer 21:9
Ese 14:21

f Jer 28:1, 2
Jer 28:11
Jer 37:19

g Jer 14:14
Jer 23:21
Jer 28:15
Jer 29:8, 9
Ese 13:6

h Jer 20:6
Jer 29:21
Ese 13:3

i Jer 14:13

j 2Kn 24:11, 13
2Kr 36:7
Jer 28:1-3
Da 1:1, 2

k Jer 27:11
Jer 38:17

te bly,** sê Jehovah, 'om dit te bewerk en daarin te woon.'”

12 En vir koning Sedeki'a^a van Juda het ek dieselfde boodskap gegee en gesê: "Bring julle nekke onder die juk van die koning van Babilon en dien hom en sy volk, en julle sal bly lewe.^b **13** Hoekom moet u en u volk deur die swaard,^c deur die hongersnood^d en deur vreeslike siektes^e sterf, soos Jehovah gesê het omtrent die nasie wat nie die koning van Babilon wil dien nie? **14** Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle sê: 'Julle sal nie die koning van Babilon dien nie,'^f want hulle profeteer leuens vir julle.^g

15 “Want ek het hulle nie gestuur nie,' sê Jehovah. 'Hulle profeteer leuens in my naam, en as gevolg daarvan sal ek julle verstrooi, en julle sal vergaan, julle en die profete wat vir julle profeteer.'”^h

16 Ek het vir die priesters en vir hierdie hele volk gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Moenie luister na die woorde van julle profete nie. Want hulle profeteer leuens vir julle' en sê: "Die voorwerpe van die huis van Jehovah sal nou binnekort uit Babilon teruggebring word!"ⁱ **17** Moenie na hulle luister nie. Dien die koning van Babilon, en julle sal bly lewe.^k Hoekom moet hierdie stad 'n verwoeste plek word? **18** Maar as hulle wel profete is en as die woord van Jehovah wel by hulle is, laat hulle asseblief Jehovah van die leërmagte smeeke dat die oorblywende voorwerpe in die huis van Jehovah, in die paleis* van die koning van Juda en in Jerusalem nie na Babilon weggeneem word nie.'

19 “Want dit is wat Jehovah van die leërmagte sê oor die

27:11 *Lett. "rus". 27:18 *Lett. "huis".

pilare,^a die See,^{*b} die waentjies^c en die res van die voorwerpe wat in hierdie stad oorbly, **20** wat koning Nebukadne'sar van Babilon laat agterbly het toe hy Jegon'ja, die seun van Joja'kim, die koning van Juda, van Jerusalem na Babilon geneem het, saam met al die heersers van Juda en in Jerusalem.^d **21** Ja, dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê oor die voorwerpe wat in die huis van Jehovah, in die paleis* van die koning van Juda en in Jerusalem oorbly: **22** "Dit sal na Babilon gebring word^e en dit sal daar bly tot die dag dat ek daaraan aandag skenk," sê Jehovah. "Dan sal ek dit terugbring na hierdie plek."^f

28 In daardie selfde jaar, in die vierde jaar nadat koning Sedeki'a^g van Juda koning geword het, in die vyfde maand, het die profeet Hanan'ja, die seun van Assur, uit Gi'beon,^h in die huis van Jehovah in die teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk vir my gesê: **2** "Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Ek sal die juk van die koning van Babilon breek.'ⁱ **3** Binne twee jaar* sal ek al die voorwerpe van die huis van Jehovah wat koning Nebukadne'sar van Babilon uit hierdie plek geneem het en na Babilon gebring het, na hierdie plek terugbring."^j **4** "En ek sal Jegon'ja,^k die seun van Joja'kim,^l die koning van Juda, en al die ballinge* van Juda wat na Babilon gegaan het,^m na hierdie plek terugbring,' sê Jehovah, 'want ek

27:19 *D.w.s. die Kopersee van die tempel. **27:21** *Lett. "huis". **28:3** *Lett. "jare van dae". **28:4** *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

HFST. 27

a 1Kn 7:15
2Kn 25:17
2Kr 4:11, 12
Jer 52:21

b 1Kn 7:23

c 1Kn 7:27
2Kn 25:16
2Kr 4:11, 14

d 2Kn 24:14, 15
2Kr 36:10
Jer 24:1
Da 1:2, 3

e 2Kn 25:13, 14
2Kr 36:18
Jer 52:17, 18
Da 5:3

f Esr 1:7
Esr 5:14

HFST. 28

g 2Kn 24:17
2Kr 36:10

h Jos 11:19
2Sa 21:2

i Jer 27:4, 8

j 2Kn 24:11, 13
Jer 27:16
Da 1:2

k 2Kn 24:8
2Kn 25:27
Jer 37:1

l 2Kn 23:36
2Kn 24:6

m 2Kn 24:12, 14
Jer 24:1

Tweede kol.

a Jer 27:2

b Jer 28:4

c Jer 27:2

sal die juk van die koning van Babilon breek."

5 Toe het die profeet Jeremia met die profeet Hanan'ja gepraat in die teenwoordigheid van die priesters en die hele volk wat in die huis van Jehovah gestaan het. **6** Die profeet Jeremia het gesê: "Amen!" Mag Jehovah dit doen! Mag Jehovah jou woorde wat jy geprofeteer het, vervul deur die voorwerpe van die huis van Jehovah en al die ballinge uit Babilon na hierdie plek terug te bring! **7** Maar hoor asseblief hierdie boodskap wat ek in jou teenwoordigheid en in die teenwoordigheid van die hele volk oordra. **8** Lank gelede het die profete wat voor my en voor jou was, oor baie lande en groot koninkryke geprofeteer en gesê dat daar oorlog, ramspoed en vreeslike siektes sal wees. **9** As 'n profeet van vrede profeteer en die woord van daardie profeet waar word, dan sal dit bekend word dat Jehovah waarlik daardie profeet gestuur het."

10 Toe het die profeet Hanan'ja die juk van die profeet Jeremia se nek afgehaal en dit gebreek.^a **11** Hanan'ja het toe in die teenwoordigheid van die hele volk gesê: "Dit is wat Jehovah sê: 'Net so sal ek binne twee jaar die juk van koning Nebukadne'sar van Babilon breek, wat op die nek van al die nasies is.'^b Die profeet Jeremia is toe daar weg.

12 Nadat die profeet Hanan'ja die juk van die profeet Jeremia se nek afgehaal en gebreek het, het Jeremia hierdie boodskap van Jehovah ontvang: **13** "Gaan sê vir Hanan'ja: 'Dit is wat Jehovah sê: "Jy het jukke van hout gebreek,^c maar in die plek daarvan sal jy jukke van ys-

28:6 *Of "Laat dit so wees!"

ter maak.” **14** Want dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: “Ek sal ’n juk van yster op die nek van al hierdie nasies sit, om koning Nebukadne’sar van Babilon te dien, en hulle sal hom moet dien.^a Ek sal selfs die wilde diere van die veld aan hom gee.”^b

15 Die profeet Jeremia het toe vir die profeet Hananja^c gesê: “Luister asseblief, o Hananja! Jehovah het jou nie gestuur nie, maar jy het hierdie volk op ’n leuen laat vertrou.^d **16** Daarom sê Jehovah: ‘Ek verwyder jou van die oppervlak van die aarde. In hierdie jaar sal jy sterf, want jy het opstandigheid teen Jehovah aangehts.’^e

17 En die profeet Hananja het in daardie jaar, in die sewende maand, gesterf.

29 Dit is die woorde van die brief wat die profeet Jeremia van Jerusalem af gestuur het aan die res van die ouermanne onder die ballinge,^{*} die priesters, die profete en die hele volk wat Nebukadne’sar uit Jerusalem in ballingskap na Babilon geneem het. **2** Dit was nadat koning Jekonja,^f die koningin-moeder,^g die hofbeamptes, die leiers van Juda en Jerusalem, die ambagsmanne en die metaalwerkers^h uit Jerusalem weg is.^h **3** Hy het die brief gestuur deur die hand van Ela’sa, die seun van Safan,ⁱ en Gemar’ja, die seun van Hilki’a, wat koning Sedeki’a^j van Juda na Babilon, na koning Nebukadne’sar van Babilon, gestuur het. Dit het gesê:

4 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel,

29:1 *D.w.s. mense wat uit hulle land wegvoer is. **29:2** *Of “die dame”.^h Of moontlik “bouers van verskansings”.

HFST. 28

a De 28:48

Jer 5:19

b Jer 27:6

Da 2:37, 38

c Jer 28:1

d Jer 14:14

Jer 23:21

Jer 27:15

Ese 13:3

e De 13:5

De 18:20

Jer 29:32

HFST. 29

f 2Kn 24:8

Jer 22:24

g Jer 22:26

h 2Kn 24:15, 16

Jer 24:1

i 2Kn 22:8

Jer 26:24

Jer 39:13, 14

Ese 8:11

j 2Kn 24:18

Tweede kol.

a 1Ti 2:1, 2

b Jer 14:14

Jer 27:14

c Jer 23:21

Jer 28:15

d 2Kr 36:20, 21

Esr 1:1-3

Da 9:2

Sag 1:12

e De 30:3

Esr 2:1

Jer 24:6

f Sef 3:15

g Jer 31:17

h Da 9:3

i Le 26:40

j De 4:29

De 30:1-4

1Kn 8:47, 48

Jer 24:7

k Jes 55:6

l Jes 49:25

Jer 30:3

Ese 39:28

sê vir al die ballinge wat ek uit Jerusalem in ballingskap na Babilon laat gaan het: **5** ‘Julle moet huise bou en daarin woon. Julle moet tuine plant en die vrugte daarvan eet. **6** Julle moet vrouens neem en seuns en dogters hê. Julle moet vrouens neem vir julle seuns, en julle moet julle dogters in die huwelik gee, sodat hulle ook seuns en dogters kan hê. Word baie daar, en moenie minder word nie. **7** En soek die vrede van die stad waarheen ek julle in ballingskap laat gaan het, en bid daarvoor tot Jehovah, want as daar vrede daar is, sal julle vrede hê.^a **8** Want dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: “Moenie toelaat dat die profete en die waarsêers onder julle julle bedrieg nie,^b en moenie luister na die drome wat hulle droom nie. **9** Want ‘hulle profeteer leuens vir julle in my naam. Ek het hulle nie gestuur nie,’^c sê Jehovah.”^c

10 “Want dit is wat Jehovah sê: ‘Wanneer 70 jaar in Babilon vervul is, sal ek aan julle aandag skenk,^d en ek sal my belofte nakom deur julle na hierdie plek terug te bring.’^e

11 “‘Want ek weet goed wat ek vir julle in gedagte het,’ sê Jehovah. ‘Ek wil julle vrede gee, nie rampspoed nie.’^f Ek wil julle ’n toekoms en ’n hoop gee.^g

12 En julle sal my aanroep en tot my kom bid, en ek sal na julle luister.’^h

13 “‘Julle sal my soek en my vind,ⁱ want julle sal my met julle hele hart soek.’^j **14** En ek sal toelaat dat julle my vind,^k sê Jehovah. ‘Ek sal julle gevangenes versamel en julle bymekaarmaak uit al die nasies en plekke waarheen ek julle verstrooi het,’^l sê Jehovah. ‘Ek sal julle terugbring na die plek

waarvandaan ek julle in ballingskap laat gaan het.^a

15 “Maar julle het gesê: ‘Jehovah het vir ons profete in Babilon gegee.’

16 “Dit is wat Jehovah sê vir die koning wat op die troon van Dawid sit^b en vir die hele volk wat in hierdie stad woon, julle broers wat nie saam met julle in ballingskap gegaan het nie: **17** ‘Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: “Ek stuur die swaard, die hongersnood en die vreeslike siektes^c teen hulle, en ek sal hulle soos vrot* vye maak wat so sleg is dat dit nie geëet kan word nie.”^d

18 “Ek sal hulle met die swaard,^e hongersnood en vreeslike siektes agternasit, en ek sal hulle iets skokkends maak vir al die koninkryke van die aarde^f en ’n vloek en iets om oor verstom te wees, iets om oor te fluit^g en ’n bespotting onder al die nasies waarheen ek hulle sal verstrooi.^h **19** Ek sal dit doen omdat hulle nie na my woorde geluister het wat ek deur middel van my knegte, die profete, aan hulle gestuur het nie,’ sê Jehovah, ‘ja, wat ek keer op keer gestuur het.’^{*j}

“Maar julle het nie geluister nie,^j sê Jehovah.

20 “Hoor dus die woord van Jehovah, julle ballinge wat ek uit Jerusalem na Babilon gestuur het. **21** Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê oor Agab, die seun van Kola’ja, en oor Sedeki’a, die seun van Maäse’ja, wat vir julle leuens profeteer in my naam:^k ‘Ek gee hulle in die hand van koning Nebukadne’sar* van Babilon, en hy sal hulle voor

29:17 *Of moontlik “ooggebarste”.
29:19 *Lett. “vroeg opgestaan en gestuur het”.
29:21 *Lett. “Nebukadresar”, ’n wisselvorm van die naam.

HFST. 29

a Ps 126:1
Ho 6:11
Am 9:14
Sef 3:20

b Jer 28:1

c Jer 24:10

d Jer 24:2, 8

e Le 26:33

f De 28:25
Jer 34:17

g 1Kn 9:8
2Kr 29:8
Jer 25:9
Klg 2:15

h Jer 24:9

i Jer 7:13

j Jer 6:19

k Jer 14:14
Jer 29:8
Klg 2:14

Tweede kol.

a Jer 23:14

b Jer 7:9, 10
Jer 27:15

c Jer 16:17
Jer 23:24

d Jer 29:31, 32

e 2Kn 25:18, 21
Jer 21:1, 2
Jer 37:3
Jer 52:24, 27

f Jer 20:2

g Jer 1:1

h Jer 43:2

i Jer 29:5

j 2Kn 25:18, 21

julle oë doodmaak. **22** En wat met hulle gebeur, sal deur al die ballinge van Juda in Babilon as ’n vloek gebruik word: “Mag Jehovah jou soos Sedeki’a en soos Agab maak, wat die koning van Babilon in die vuur gebraai het!”

23 Want hulle het hulle skandelik gedra in Israel^a deur egbreuk te pleeg met die vrouens van hulle naaste en deur valse woorde in my naam te sê wat ek hulle nie beveel het om te sê nie.^b

““Ek is die Een wat weet, en ek is ’n getuie,”^c sê Jehovah.”

24 “Jy moet vir Sema’ja^d van Nehe’lam sê: **25** ‘Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: “Omdat jy in jou naam briewe gestuur het aan die hele volk wat in Jerusalem is, aan Sefan’ja,^e die seun van Maäse’ja, die priester, en aan al die priesters, waarin jy gesê het: **26** ‘Jehovah het jou as priester aangestel in die plek van die priester Joja’da om die opsiener van die huis van Jehovah te word, om toesig te hou oor enige mal man wat hom soos ’n profeet gedra en om hom in die blok en in die nek-boei* te sit.^f **27** Hoekom het jy dan nou nie vir Jeremia van A’natot^g bestraf, wat hom soos ’n profeet vir julle gedra nie?^h **28** Want hy het selfs vir ons in Babilon ’n boodskap gestuur en gesê: “Dit gaan lank wees! Julle moet huise bou en daarin woon. Julle moet tuine plant en die vrugte daarvan eet! . . . ”^{*****}

29 Toe die priester Sefan’jaⁱ hierdie brief voor die profeet Jeremia gelees het, **30** het Jeremia die volgende boodskap van Jehovah ontvang: **31** “Stuur die volgende boodskap aan al die ballinge: ‘Dit is wat Jehovah oor Sema’ja van Nehe’lam sê: “Omdat Sema’ja vir julle geprofeteer

29:26 *Of “skandpaal”.

het, hoewel ek hom nie gestuur het nie, en hy julle probeer kry het om op leuens te vertrou,^a **32** sê Jehovah: 'Ek rig my aandag op Sema'ja van Nehe'lam en op sy nakomelinge. Nie een van sy familielede sal onder hierdie volk oorleef nie, en hy sal nie die goeie sien wat ek vir my volk sal doen nie,' sê Jehovah, 'want hy het opstandigheid teen Jehovah aangehits.'"^{***}

30 Jeremia het die volgende boodskap van Jehovah ontvang: **2** "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Skryf in 'n boek al die woorde wat ek vir jou sê. **3** Want "die dae kom," sê Jehovah, "wanneer ek die gevangenes van my volk, Israel en Juda,^b sal versamel," sê Jehovah, "en ek sal hulle terugbring na die land wat ek aan hulle voorvaders gegee het, en hulle sal dit weer besit.'"^{***c}

4 Dit is die woorde wat Jehovah vir Israel en Juda gesê het.

5 Dit is wat Jehovah sê:

"Ons het uitroep van paniek gehoor.

Daar is vrees, en geen vrede nie.

6 Vra asseblief of 'n man geboorte kan gee.

Hoekom sien ek dan elke sterk man met sy hande op sy maag* soos 'n vrou wat geboorte gee?^d

Hoekom het elke gesig bleek geword?

7 Hoe verskriklik! Want daardie dag is 'n verskriklike* dag.^e

Geen ander dag kan daarmee vergelyk word nie, 'n tyd van angsk vir Jakob. Maar hy sal daaruit gered word."

HFST. 29

a Jer 14:14
Jer 28:15, 16
Ese 13:8, 9

HFST. 30

b De 30:3
Ese 39:25

c Esr 2:1
Jer 29:14
Jer 32:44
Ese 20:42
Am 9:14

d Jer 4:31
Mi 4:9

e Jl 2:11
Sef 1:14

Tweede kol.

a Ese 34:23
Ese 37:24
Ho 3:5

b Jes 41:13

c Jes 49:25
Jer 3:18

d Jer 33:16
Ese 34:25
Ho 2:18
Mi 4:4

e Jer 50:29
Jer 51:24

f Le 26:44
Ne 9:31
Klg 3:22
Am 9:8

g Eks 34:6, 7
Jer 46:27, 28

h 2Kr 36:15, 16
Jes 6:10
Jer 8:21, 22

i Klg 1:2, 19

8 "En in daardie dag," sê Jehovah van die leërmagte, "sal ek die juk breek wat op jou nek is en jou rieme* in twee skeur, en vreemdelinge[#] sal nie meer 'n slaaf van hom[^] maak nie. **9** Hulle sal Jehovah hulle God dien, sowel as Dawid hulle koning, wat ek vir hulle sal gee."^a

10 "En jy, my kneg Jakob, moenie bang wees nie," sê Jehovah, "en moenie vrees nie, o Israel.^b

Want ek sal jou van ver af red,

en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap.^c Jakob sal terugkeer en rus en vrede hê,

en daar sal niemand wees wat hulle bang maak nie."^d

11 "Want ek is met jou," sê Jehovah, "om jou te red. Ek sal al die nasies vernietig waarheen ek jou verstrooi het,^e

maar ek sal jou nie vernietig nie.^f

Ek sal jou in die regte mate dissiplineer,* en ek sal jou beslis nie ongestraf laat bly nie."^g

12 Want dit is wat Jehovah sê: "Daar is geen genesing vir jou ineenstorting nie.^h Jou wond is ongeneeslik.

13 Daar is niemand om jou saak te verdedig nie. Daar is geen genesing vir jou sweer nie.

Daar is geen geneesmiddel vir jou nie.

14 Almal wat jou intens liefgehad het, het jou vergeet.ⁱ Hulle kom soek jou nie meer nie.

30:8 *Lett. "bande". [#]Of "uitlanders". [^]Of "hulle". **30:11** *Of "te-regwys".

30:6 *Of "lendene". **30:7** *Lett. "groot".

Want met die slag van
'n vyand het ek jou
geslaan,^a

met 'n wrede straf,
as gevolg van jou groot
skuld en al jou sondes.^b

15 Hoekom skree jy weens jou
ineenstorting?

Jou pyn is ongeneeslik!
As gevolg van jou groot
skuld en al jou sondes^c
het ek dit aan jou gedoen.

16 Daarom sal almal wat jou
verslind, verslind word,^d
en al jou vyande sal ook in
gevangenskap gaan.^e
Dié wat jou stroop, sal
gestroop word,
en ek sal toelaat dat almal
wat jou beroof, beroof
word.^f

17 “Maar ek sal jou gesond
maak en jou wonde ge-
nees,”^g sê Jehovah,
“al het hulle jou beskryf as
iemand wat uitgegooi is:
‘Sion, na wie niemand
soek nie.’”^h

18 Dit is wat Jehovah sê:
“Ek versamel die gevange-
nes van die tente van
Jakob,ⁱ

en ek sal jammer voel vir
sy wonings.

Die stad sal op sy heuwel
herbou word,^j
en die versterkte toring
sal op sy regmatige plek
staan.

19 En uit hulle sal danksegging
kom, en uitroepe van
vreugde.^k

Ek sal hulle vermeerder, en
hulle sal nie min wees nie.^l
Ek sal hulle baie* maak,
en hulle sal nie onbelangrik
wees nie.^m

20 Sy seuns sal word soos in
die verlede,

30:19 *Of moontlik “geëerd”.

HFST. 30

a Klg 2:5

b Jer 5:6

c 2Kr 36:14

d Jes 41:11
Jer 25:12

e Jer 51:29, 56
Mi 5:9

f Sag 2:8, 9

g Ps 102:13
Jer 33:6, 7

h Klg 2:15

i Ps 85:1
Jer 24:6
Jer 29:10

j Mi 4:8

k Esr 3:12
Ne 8:17
Jes 35:10

l De 30:5
Jes 27:6
Sag 10:8

m Jes 60:22
Mi 4:7

Tweede kol.

a Jes 1:26

b Jes 49:26
Jer 50:18

c Ho 2:23

d Jer 31:1
Ese 11:20
Ese 36:28

e Jer 25:32

f Jer 4:28

g Jer 23:20

HFST. 31

h Le 26:12
Jer 30:22
Jer 31:33

i De 7:8

j Jer 33:7
Am 9:11

en sy vergadering sal stewig
gevestig word voor my.^a

Ek sal met al sy onderdruk-
kers afreken.^b

21 Sy glorieryke leier sal een
van sy eie mense wees,
en uit sy midde sal sy heer-
ser verskyn.

Ek sal hom laat nader kom,
en hy sal na my toe kom.”

“Want wie sou dit andersins
durf* om my te nader?” sê
Jehovah.

22 “En julle sal my volk word,^c
en ek sal julle God wees.”^d

23 'n Windstorm van Jehovah
sal met woede losbars,^e
'n verwoestende warrelwind
wat oor die goddeloses
kom.

24 Die brandende woede van
Jehovah sal nie terugdraai
totdat hy uitgevoer en ge-
doen het wat hy hom in sy
hart voorgeneem het nie.^f
Aan die einde van die dae
sal julle dit verstaan.^g

31 “In daardie tyd,” sê Jeho-
vah, “sal ek God word vir
al die families van Israel, en hul-
le sal my volk word.”^h

2 Dit is wat Jehovah sê:
“Die volk wat die swaard
oorleef het, het genade
ontvang in die wildernis
toe Israel na sy rusplek
geloop het.”

3 Van ver af het Jehovah aan
my verskyn en gesê:

“Ek het jou met 'n ewige
liefde liefgehad.

Daarom het ek jou met lojale
liefde na my toe getrek.”ⁱ

4 Ek sal jou weer herbou, en
jy sal herbou word.^j

O maagd van Israel, jy sal
weer jou tamboeryne
neem

30:21 *Lett. “sy hart as pand gee”.
31:3 *Of “aangehou om lojale liefde
aan jou te betoon”.

en uitgaan terwyl jy vreugdevol dans.*^a

- 5** Jy sal weer wingerde plant op die berge van Samari'a.^b
Die planters sal plant en die vrugte geniet.^c
- 6** Want die dag kom wanneer die wagte in die berge van E'fraim sal uitroep:
'Staan op, laat ons opgaan na Sion, na Jehovah, ons God.'^d
- 7** Want dit is wat Jehovah sê:
"Roep uit na Jakob met blydschap.
Roep uit van vreugde, want jy is oor die nasies."^e
Verkondig dit. Bring lof en sê:
'O Jehovah, red u volk, die oorblyfsel van Israel.'^f
- 8** Ek bring hulle terug uit die land van die noorde.^g
Ek sal hulle bymekaarmaak uit die mees afgeleë dele van die aarde.^h
Die blindes en die kreupeles sal onder hulle wees,ⁱ
die swanger vrou en die een wat geboorte gee, almal saam.
As 'n groot gemeente sal hulle hierheen terugkeer.^j
- 9** Hulle sal huil terwyl hulle terugkom.^k
Ek sal hulle lei terwyl hulle om goedkeuring smeek.
Ek sal hulle na waterstrome* lei,^l
op 'n pad wat gelyk is en hulle nie sal laat struikel nie.
Want ek is 'n Vader vir Israel, en E'fraim is my eersgeborene."^m

31:4 *Of "uitgaan in die dans van dié wat lag". **31:9** *Of "wadi's". Sien Woordelyst.

HFST. 31

- a Jer 30:18, 19
b Am 9:14
Mi 4:4
c De 30:9
Jes 65:21, 22
d Jer 5:2
Jer 50:4, 5
e De 32:43
Jes 44:23
f Jer 1:9
Jer 23:3
Jl 2:32
g Jer 43:6
Jer 3:12
h De 30:4
Ese 20:34
Ese 34:12
i Jer 35:6
Jes 42:16
j Esr 2:1, 64
k Jer 50:4
l Jer 35:7
Jes 49:10
m Ge 48:14
Eks 4:22

Tweede kol.

- a Jer 11:11
Jes 42:10
b Jer 40:11
Ese 34:11-13
Mi 2:12
c Jer 44:23
Jes 48:20
d Jer 49:25
e Esr 3:13
Ps 126:1
Jes 51:11
f Jl 3:18
g Jer 65:10
h Jer 58:11
i Jer 35:10
j Sag 8:4
k Esr 3:12
l Jer 51:3
Jes 65:19
m De 30:9
Jes 63:7
n Jos 18:21, 25
Jer 40:1

- 10** Hoor die woord van Jehovah, o nasies,
en vertel dit op die eilande ver weg:^a
"Die Een wat Israel verstrooi het, sal hom bymekaarmaak.
Hy sal hom oppas soos 'n herder sy kudde oppas.^b
- 11** Want Jehovah sal Jakob loskoop^c
en hom red* uit die hand van die een wat sterker is as hy.^d
- 12** Hulle sal kom en van vreugde uitroep op die hoogte van Sion^e
en straal oor die goedheid van* Jehovah,
oor die graan en die nuwe wyn^f en die olie
en oor die lammers van die kleinvee en die kalwers van die beeste.^g
Hulle sal word soos 'n tuin wat baie water kry,^h
en hulle[#] sal nooit weer swak word nie."ⁱ
- 13** "In daardie tyd sal die maagd vreugdevol dans,
en ook die jong manne en die ou manne, almal saam.^j
Ek sal hulle getreur in blydschap verander.^k
Ek sal hulle vertrous en hulle hartseer in vreugde verander.^l
- 14** Ek sal die priesters* versadig met 'n oorvloed,[#]
en my volk sal versadig word met my goedheid."^m
sê Jehovah.
- 15** "Dit is wat Jehovah sê:
'n Stem word in Rama gehoor,ⁿ 'n getreur en 'n bittere gehuil:

31:11 *Of "terugeis". **31:12** *Of "die goeie dinge van". [#]Of "hulle siele". **31:14** *Of "die siele van die priesters". [#]Lett. "met vettigheid".

Ragel huil oor haar seuns.*^a
 Sy het geweier om haar te
 laat troos oor haar seuns,
 want hulle is nie meer daar
 nie.”^b

- 16** Dit is wat Jehovah sê:
 “Hou op huil en vee jou
 trane af,
 want daar is 'n beloning vir
 jou werk,’ sê Jehovah.
 ‘Hulle sal uit die land van
 die vyand terugkeer.’^c
- 17** ‘En daar is 'n hoop vir jou
 toekoms,’^d sê Jehovah.
 ‘Jou kinders sal na hulle eie
 gebied terugkeer.”^e
- 18** “Ek het E'fraim se gekla
 duidelik gehoor:
 ‘U het my gedissiplineer,
 en ek is gedissiplineer,
 soos 'n kalf wat nie geleer
 is nie.
 Bring my terug, en ek sal
 graag terugkeer,
 want u is Jehovah my God.’
- 19** Want nadat ek teruggekeer
 het, het ek spyt gevoel.^f
 Nadat ek gehelp is om te
 verstaan, het ek op my
 bobeen geslaan in droef-
 heid.
 Ek het skaam en verneder
 gevoel,^g
 want ek het die skande van
 my jong dae gedra.”
- 20** “Is E'fraim nie vir my 'n
 dierbare seun, 'n geliefde
 kind nie?^h
 Want hoe meer ek teen hom
 praat, hoe meer dink ek
 aan hom.
 Daarom raak my emosies*
 onstuimig as gevolg van
 hom.ⁱ
 En ek sal hom beslis jammer
 kry,” sê Jehovah.^j
- 21** “Rig vir jou padmerkers op,
 en rig padwysers op.^k

31:15 *Of “kinders”. 31:20 *Lett. “in-
 gewande”.

HFST. 31

a Klg 1:16

b Mt 2:16-18

c Esr 1:5
 Jer 23:3
 Ese 11:17
 Ho 1:11

d Jer 29:11

e Jer 46:27

f De 30:1-3

g Esr 9:6

h Jer 31:9
 Ho 14:4

i Ho 11:8

j De 32:36
 Mi 7:18

k Jes 62:10

Tweede kol.

a Jes 35:8

b Jes 1:26

c Sag 8:3

d Jer 33:12
 Ese 36:10, 11

e Ps 107:9

f De 30:9
 Ese 36:9
 Ho 2:23

g Jer 44:27
 Jer 45:4

h Ps 102:16
 Ps 147:2
 Jer 24:6

i Ese 18:2-4

Skenk aandag aan die groot-
 pad, die pad waarop jy sal
 moet gaan.^a

Keer terug, o maagd van
 Israel, keer terug na hier-
 die stede van jou.

- 22** Hoe lank sal jy besluiteloos
 wees, o ontroue dogter?
 Want Jehovah het iets nuuts
 op die aarde geskep:
 'n Vrou sal gretig agter 'n
 man aanloop.”

23 Dit is wat Jehovah van
 die leërmagte, die God van Is-
 rael, sê: “Hulle sal weer hierdie
 woorde in die land van Juda en
 in sy stede sê wanneer ek hul-
 le gevanges terugbring: ‘Mag
 Jehovah jou seën, o regverdi-
 ge woonplek,^b o heilige berg.’^c
24 En Juda en al sy stede, die
 boere en dié wat die kuddes lei,
 sal almal saam daarin woon.^d
25 Want die een* wat moeg is,
 sal ek nuwe krag gee, en elkeen^e
 wat swak is van die honger, sal
 ek vul.”^e

26 Toe het ek wakker geword
 en my oë oopgemaak, en ek het
 goed geslaap.

27 “Die dae kom,” sê Jeho-
 vah, “wanneer ek die saad* van
 mense en die saad van vee in
 die huis van Israel en in die huis
 van Juda sal saai.”^f

28 “En net soos ek oor hul-
 le gewaak het om uit te ruk,
 af te breek, te verwoes, te vernietig
 en skade aan te rig,^g so sal ek
 oor hulle waak om op te bou en te
 plant,”^h sê Jehovah. **29** “In daardie
 dae sal hulle nie meer sê: ‘Die pa’s
 het suur druiwe geëet, maar die kin-
 ders het die suur smaak in hul-
 le mond gehad’* nie.ⁱ **30** Maar
 dan sal elkeen vir sy eie oortre-

31:25 *Of “siel”. ^eOf “elke siel”.

31:27 *Of “nageslag”. 31:29 *Lett.
 “die seuns se tande het stomp ge-
 word”.

ding sterf. Enigiemand wat suur druiwe eet, sal die suur smaak in sy eie mond hê.”

31 “Kyk! Die dae kom,” sê Jehovah, “wanneer ek met die huis van Israel en met die huis van Juda 'n nuwe verbond sal maak.^a **32** Dit sal nie wees soos die verbond wat ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe ek hulle hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie,^b my verbond wat hulle verbreek het,^c hoewel ek hulle ware meester* was,^d sê Jehovah.”

33 “Want dit is die verbond wat ek ná daardie dae met die huis van Israel sal maak,” sê Jehovah. “Ek sal my wet in hulle binneste sit,^d en ek sal dit in hulle hart skryf.^e En ek sal hulle God word, en hulle sal my volk word.”^f

34 “Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken Jehovah!’ nie,^g want hulle almal sal my ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,”^h sê Jehovah. “Want ek sal hulle oortreding vergewe, en ek sal nie meer aan hulle sonde dink nie.”ⁱ

35 Dit is wat Jehovah sê, wat die son gee as lig in die dag, die wette* van die maan en die sterre as lig in die nag, wat die see en sy golwe onstuimig maak, wie se naam Jehovah van die leërmagte is!^j

36 “As hierdie wette ooit sou verdwyn,^k sê Jehovah, ‘slegs dan sou die nageslag van Israel ophou om vir altyd 'n nasie voor my te wees.’”^k

37 Dit is wat Jehovah sê: “As die hemel daar bo gemeet kon

31:32 *Of moontlik “hulle man”.
31:35 *Of “wetsbepalings”.

HFST. 31

a Mt 26:27, 28
Lu 22:20
1Kor 11:25
Heb 8:8-12

b Eks 19:5

c Ese 16:59

d Ese 11:19

e Heb 10:16

f Jer 24:7
Jer 30:22

g Jes 54:13
Joh 17:3

h Jes 11:9
Hab 2:14

i Jer 33:8
Jer 50:20
Mt 26:27, 28
Heb 8:10-12
Heb 9:15
Heb 10:17

j Jes 51:15

k Jes 54:10
Jer 33:20, 21

Tweede kol.

a Jer 30:11

b Ne 12:27
Jes 44:28
Jer 30:18

c Ne 3:1
Sag 14:10

d 2Kr 26:9

e Sag 1:16

f 2Sa 15:23
2Kn 23:6
Joh 18:1

g Ne 3:28

h Jl 3:17

HFST. 32

i Jer 25:1

j Ne 3:25
Jer 33:1
Jer 38:28

k Jer 37:18, 21

l Jer 34:2, 3
Jer 37:8, 17

word en die fundamente van die aarde daar onder verken kon word, slegs dan sou ek die hele nageslag van Israel kon verwerp weens alles wat hulle gedoen het,^j verklaar Jehovah.”^a

38 “Die dae kom,” sê Jehovah, “wanneer die stad vir Jehovah gebou sal word,^b van die Hana'nel-toring^c af tot by die Hoekpoort.^d **39** En die maatlyn sal uitgestrek word,^e reguit tot by die heuwel Gareb, en dit sal dan in die rigting van Goa gaan. **40** En die hele vallei van die lyke en van die as* en al die terrasse tot by die Kidron-vallei,^f tot by die hoek van die Perdepoort^g in die ooste, sal iets heiligs vir Jehovah wees.^h Dit sal nooit weer uitgeruk of afgebreek word nie.”

32 Jeremia het 'n boodskap van Jehovah ontvang in die 10de jaar van koning Sede-ki'a van Juda, dit wil sê die 18de jaar van Nebukadne'sar.*ⁱ **2** In daardie tyd het die leërmagte van die koning van Babilon Jerusalem beleër, en die profete Jeremia was opgesluit in die Voorhof van die Wagte^j in die paleis* van die koning van Juda. **3** Want koning Sedeki'a van Juda het hom opgesluit^k en gesê: “Hoekom profeteer jy hierdie dinge? Jy sê: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Ek gaan hierdie stad in die hand van die koning van Babilon gee, en hy sal dit inneem,^l **4** en koning Sedeki'a van Juda sal nie van die Galdeërs wegom nie, want hy sal vir seker in die hand van die koning van Babilon gegee word, en hy sal direk met hom praat, en hulle sal mekaar in die oë

31:40 *Of “vetterige as”, d.w.s. as wat met die vet van die offerandes deurdrenk is. **32:1** *Lett. “Nebukadresar”, 'n wisselvorm van die naam. **32:2** *Lett. “huis”.

kyk.”^a **5** ‘Hy sal Sedeki’a na Babilon neem, en daar sal hy bly totdat ek my aandag op hom rig,’ sê Jehovah. ‘Hoewel julle aanhou om teen die Galdeërs te veg, sal julle nie suksesvol wees nie.’^b

6 Jeremia het gesê: “Jehovah het met my gepraat en gesê: **7** ‘Hana’mel, die seun van jou oom* Sallum, sal na jou toe kom en sê: “Koop vir jou my stuk grond in A’natot,^c want jy het die reg om dit eerste terug te koop.’”^d

8 Hana’mel, die seun van my oom, het na my toe gekom, net soos Jehovah gesê het, in die Voorhof van die Wagte, en hy het vir my gesê: “Koop asseblief my stuk grond in A’natot, in die land van Benjamin, want jy het die reg om dit in besit te neem en om dit terug te koop. Koop dit vir jou.” Toe het ek geweet dat dit deur die woord van Jehovah was.

9 Toe het ek die stuk grond in A’natot by Hana’mel, die seun van my oom, gekoop. Ek het die geld vir hom afgeweeg:^e sewe sikkels* en tien silwerstukke. **10** Daarna het ek dit in ’n kontrak neergeskryf,^f die seël daarop gedruk, getuies ingeroep^g en die geld op die weegskaal geveeg. **11** Ek het die koopkontrak geneem, die een wat verseël is volgens die gebod en die wetlike vereistes sowel as die een wat nie verseël is nie, **12** en ek het die koopkontrak vir Barug,^h die seun van Neri’a,ⁱ die seun van Magse’ja, gegee in die teenwoordigheid van Hana’mel, die seun van my oom, en in die teenwoordigheid van die getuies wat in die koopkontrak geskryf het en al die Jode wat in

HFST. 32

a 2Kn 25:6, 7
Jer 38:17, 18
Jer 39:5
Ese 12:13

b Jer 21:4
Ese 17:15

c Jos 21:8, 18
Jer 1:1

d Le 25:23, 24

e Ge 23:16

f Jer 32:44

g Rut 4:9

h Jer 36:4
Jer 36:26

i Jer 51:59

Tweede kol.

a Jer 33:1

b Am 9:14
Sag 3:10

c Jes 40:26
Op 4:11

d Eks 34:6, 7
Nu 14:18

e Jes 28:29

f Spr 15:3
Heb 4:13

g Pr 12:14
Jer 17:10
Ro 2:6

h Eks 7:3, 5
Eks 9:15, 16
De 4:34
2Sa 7:23
Jes 63:12

i Eks 6:1, 6
Eks 15:16
De 26:8

die Voorhof van die Wagte gesit het.^a

13 Ek het Barug toe in hulle teenwoordigheid beveel en gesê: **14** “Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Neem hierdie kontrak, die verseëlde koopkontrak en die ander kontrak wat nie verseël is nie, en sit hulle in ’n kleihouer, sodat hulle ’n lang tyd gehou kan word.’ **15** Want dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Huise en grond en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.’”^b

16 Toe, nadat ek die koopkontrak vir Barug, die seun van Neri’a, gegee het, het ek tot Jehovah gebid en gesê: **17** “O Soewereine Heer Jehovah! U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot krag^c en deur u uitgestrekte arm. Niks is onmoontlik vir u nie, **18** die Een wat lojale liefde aan diensende betoon, maar wat die oortreding van die vaders aan* hulle kinders terugbetaal,^d die ware God, die Een wat groot en magtig is, wie se naam Jehovah van die leërmagte is. **19** U voorneme is groot* en u dade is magtig,^e u wie se oë al die weë van die mense sien,^f om aan elk een te gee volgens sy weë en volgens wat hy doen.^g **20** U het tekens en wonderwerke in Egipte verrig, wat tot vandag toe bekend is, en so het u in Israel en onder die mensdom ’n naam vir u gemaak,^h soos vandag die geval is. **21** En u het u volk Israel uit Egipte uitgelei, met tekens, met wonderwerke, met ’n sterk hand, met ’n uitgestrekte arm en met skrikwekkende dade.ⁱ

22 “Mettertyd het u hierdie land aan hulle gegee wat u met

32:18 *Lett. “in die boesem van”.
32:19 *Lett. “U is groot in raad”.

32:7 *D.w.s. sy oom aan sy pa se kant.
32:9 *’n Sikkal was gelyk aan 11,4 g. Sien Aanh. B14.

'n eed aan hulle voorvaders belowe het,^a 'n land wat oorloep van melk en heuning.^b **23** En hulle het ingegaan en dit in besit geneem, maar hulle het nie u stem gehoorsaam of u wet gevolg nie. Hulle het niks gedoen wat u hulle beveel het om te doen nie, en daarom het u al hierdie rampspoed oor hulle laat kom.^c **24** Mense het gekom met toerusting* om die stad te beleër en in te neem,^d en weens die swaard,^e die hongersnood en die vreeslike siektes^f sal die stad beslis in die hand gegee word van die Galdeërs wat daarteen veg. Wat u gesê het, het alles gebeur, soos u nou sien. **25** Maar u, o Soewereine Heer Jehovah, het vir my gesê: 'Koop vir jou die stuk grond met geld en roep getuies in,' hoewel die stad beslis in die hand van die Galdeërs gegee sal word."

26 Toe het Jehovah met Jeremia gepraat en gesê: **27** "Hier is ek, Jehovah, die God van die hele mensdom.* Is enigiets onmoontlik vir my? **28** Daarom sê Jehovah: 'Ek gee hierdie stad in die hand van die Galdeërs en in die hand van koning Nebukadné'sar* van Babilon, en hy sal dit inneem.^g **29** En die Galdeërs wat teen hierdie stad veg, sal inkom en hierdie stad aan die brand steek en dit afbrand,^h saam met die huise waar die volk op die dakke offerandes vir Baäl gebring het en drankoffers vir ander gode uitgegooi het om my aanstoot te gee.ⁱ

30 "'Want Israel en Juda het van jongs af net gedoen wat sleg is in my oë.^j Die Israeliete hou aan om my aanstoot te gee met

32:24 *Lett. "skanse". **32:27** *Lett. "alle vlees". **32:28** *Lett. "Nebukadnesar", 'n wisselvorm van die naam.

HFST. 32

a Ge 13:14, 15

Ge 26:3

b Eks 3:8

c De 28:15
Jos 23:16

d De 28:52
2Kn 25:1
Jer 33:4
Ese 4:1, 2

e Le 26:31, 33

f Jer 14:12
Jer 15:2

g 2Kn 25:4
Jer 20:5

h 2Kn 25:9, 10
2Kr 36:17, 19
Klg 4:11

i Jer 7:18
Jer 19:13
Jer 44:25

j De 9:7
2Kn 17:9

Tweede kol.

a 1Kn 11:7
2Kn 21:1, 4

b 2Kn 23:27
2Kn 24:3, 4

c 1Kn 11:9, 10
2Kn 23:26
1Kr 10:13

d Ese 22:6

e Mi 3:5, 11

f 2Kr 29:6
Jer 2:27

g Jer 25:3
Jer 35:15

h 2Kn 21:1, 4
Jer 23:11
Ese 8:5, 6

i Jos 15:8, 12

j 2Kr 28:1, 3
2Kr 33:1, 6
Jer 7:31

k Le 18:21
De 18:10, 12

l De 30:3
Jer 29:14
Ese 37:21

die werk van hulle hande,' sê Jehovah. **31** 'Want hierdie stad was vanaf die dag dat hulle dit gebou het tot vandag toe niks anders as 'n oorsaak van groot woede vir my nie,^a en daarom moet dit voor my verwyder word.^b **32** weens al die goddeloosheid wat Israel en Juda gedoen het om my aanstoot te gee – hulle, hulle konings,^c hulle leiers,^d hulle priesters, hulle profete^e en die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem. **33** Hulle het aangehou om hulle rug op my te draai, en nie hulle gesig nie,^f al het ek hulle keer op keer probeer leer,* het nie een van hulle geluister om dissipline te aanvaar nie.^g **34** En hulle het hulle walglike afgode in die huis gesit wat my naam dra, om dit onrein te maak.^h **35** Verder het hulle die offerhoogtes van Baäl in die Vallei van die Seun van Hinnom*ⁱ gebou om hulle seuns en hulle dogters vir Molog^j as offerandes in die vuur te verbrand,[#] iets wat ek hulle nie beveel het nie.^k Dit het nooit in my hart opgekome^Δ om hulle so 'n afskuwelike ding te laat doen wat Juda sou laat sondig nie.'

36 "Daarom is dit wat Jehovah, die God van Israel, sê oor hierdie stad wat volgens julle deur die swaard, die hongersnood en die vreeslike siektes in die hand van die koning van Babilon gegee sal word: **37** 'Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen ek hulle in my groot woede en groot verontwaardiging^l verstrooi het, en ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle in veiligheid

32:33 *Lett. "vroeg opgestaan en [hulle] onderrig". **32:35** *Sien Woordelys, "Gehenna". [#]Of "deur die vuur te laat gaan". ^ΔOf "Ek het nooit eers daaraan gedink".

laat woon.^a **38** En hulle sal my volk wees, en ek sal hulle God wees.^b **39** Ek sal hulle een hart^c en een weg gee sodat hulle my altyd sal vrees, en dan sal dit goed gaan met hulle en hulle kinders.^d **40** Ek sal 'n ewige verbond met hulle maak,^e dat ek nie sal ophou om goeie dinge vir hulle te doen nie,^f en ek sal die vrees vir my in hulle hart sit, sodat hulle nie van my sal wegdraai nie.^g **41** Ek sal bly wees om goeie dinge vir hulle te doen,^h en ek sal hulle met my hele hart en met my hele siel* stewig in hierdie land plant.”ⁱ

42 “Want dit is wat Jehovah sê: ‘Net soos ek hierdie groot rampspoed oor hierdie volk gebring het, so sal ek al die goeie dinge wat ek hulle belowe, oor hulle bring.^j **43** Grond sal weer in hierdie land gekoop word,^k al sê julle: “Dit is 'n verlate plek, sonder mens of dier, en dit is in die hand van die Galdeërs gegee.”

44 “Grond sal met geld gekoop word, koopkontrakte sal uitgeskryf en verseël word en getuies sal geroep word in die land van Benjamin,^l in die gebiede om Jerusalem, in die stede van Juda,^m in die stede van die bergstreek, in die stede van die laaglandⁿ en in die stede van die suide, want ek sal hulle gevangenes terugbring,^o sê Jehovah.”

33 Terwyl Jeremia nog in die Voorhof van die Wagte opgesluit was,^p het hy vir 'n tweede keer 'n boodskap van Jehovah ontvang: **2** “Dit is wat Jehovah sê, die Maker van die aarde, Jehovah, wat dit gevorm en stewig gevestig het. Jehovah is sy naam: **3** ‘Roep na my, en ek sal jou antwoord en jou met

32:41 *Sien Woordelys.

HFST. 32

a Jer 23:3, 6
Jer 33:16
Ese 34:25

b Jer 31:33
Mi 4:5

c Ese 11:19

d De 5:29

e Jes 55:3
Jes 61:8

f Ese 39:29

g Ese 36:26

h Jes 65:19
Sef 3:17

i Jes 58:11
Jer 24:6
Am 9:15

j Jer 31:28
Sag 8:14, 15

k Ese 37:14

l Jer 32:10, 25

m Jer 31:23

n Jer 17:26
Jer 33:13

o Ps 126:1

HFST. 33

p Ne 3:25
Jer 32:2
Jer 37:21
Jer 38:28

Tweede kol.

a Jes 48:6

b De 28:52
Jer 32:24

c Jes 30:26
Jer 30:17

d Jes 54:13

e De 30:3
Jer 30:3

f Jer 24:6

g Jes 40:2
Sag 13:1

h Ps 85:2
Jes 43:25
Jer 31:34
Mi 7:18

i Jes 62:3, 7

j Mi 7:17

k Ne 6:15, 16

graagte van groot en onbegryplike dinge vertel wat jy nie weet het nie.”^a

4 “Want dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê oor die huise van hierdie stad en die huise van die konings van Juda wat afgebreek is om as 'n verdediging te dien teen die toerusting* wat gebruik word om die stad te beleër en teen die swaard.^b **5** En dit is wat hy sê oor dié wat kom om teen die Galdeërs te veg en wat hierdie plekke vul met die lyke van dié wat ek in my groot woede doodgemaak het, dié wie se goddeloosheid veroorsaak het dat ek my gesig weggedraai het van hierdie stad af: **6** ‘Ek bring 'n genesing en gesondheid vir haar,^c en ek sal hulle gesond maak en 'n oorvloed van vrede en waarheid vir hulle gee.^d **7** Ek sal die gevangenes van Juda en die gevangenes van Israel terugbring,^e en ek sal hulle opbou net soos ek aan die begin gedoen het.^f **8** Ek sal hulle reinig van al die skuld van hulle sondes teen my,^g en ek sal al die skuld van hulle sondes en hulle oortredings teen my vergewe.^h **9** Die stad sal my roem, my vreugde, my lof en my heerlikheid word voor al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie dinge wat ek vir hulle gedoen het.ⁱ En hulle sal baie bang wees en sal bewee^j as gevolg van al die goeie dinge en die vrede wat ek vir haar sal gee.”^k

10 “Dit is wat Jehovah sê: ‘In hierdie plek wat julle sal sê 'n wildernis sonder mens of vee is, dit wil sê in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem wat verlate en sonder mens of inwoner of vee is, sal die volgende weer gehoor word: **11** die

33:4 *Lett. “skanse”.

uitroep van vreugde en die geluid van blydschap,^a die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van dié wat sê: "Dank Jehovah van die leërmagte, want Jehovah is goed.^b Sy lojale liefde duur vir ewig!"^c

"Hulle sal dankoffers na die huis van Jehovah bring,^d want ek sal die gevangenes van die land terugbring, soos aan die begin,^e sê Jehovah."

12 "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'In hierdie wildernis sonder mens of vee en in al sy stede sal daar weer weiveld vir die herders wees waar hulle hulle kudde kan laat rus.'^e

13 "In die stede van die bergstreek, in die stede van die laagland, in die stede van die suide, in die land van Benjamin, in die gebiede om Jerusalem^f en in die stede van Juda^g sal kudde weer deurgaans onder die hande van die een wat hulle tel,^h sê Jehovah."

14 "Kyk! Die dae kom,ⁱ sê Jehovah, 'wanneer ek die goeie belofte sal nakom wat ek gemaak het in verband met die huis van Israel en die huis van Juda.^h **15** In daardie dae en in daardie tyd sal ek vir Dawid 'n regverdige spruitⁱ laat uitspruit, en hy sal sorg dat daar geregtigheid en regverdigheid in die land is.^j **16** In daardie dae sal Juda gered word^k en sal Jerusalem in veiligheid woon.^l En dit is wat sy genoem sal word: Jehovah Is Ons Regverdigheid."^m

17 "Want dit is wat Jehovah sê: 'Daar sal altyd 'n man van Dawid se geslagslyn wees wat op die troon van die huis van Israel sit,ⁿ **18** en die Levitiese priesters sal altyd 'n man hê wat voor my staan om heelbrandoffers te offer, graan-

HFST. 33

a Jer 31:12

b Sag 9:17

c 2Kr 5:13

Esr 3:11

Ps 106:1

Jes 12:4

Mi 7:18

d Le 7:12

Ps 107:22

e Jes 65:10

Jer 32:43

f Jer 17:26

g Jer 32:44

h Jer 29:10

i Jes 53:2

Sag 6:12

Op 22:16

j Jes 11:1, 4

Jer 23:5

Heb 1:9

k Jes 45:17

l Ese 28:26

m Jer 23:6

n 2Sa 7:16, 17

1Kn 2:4

Ps 89:20, 29

Jes 9:7

Lu 1:32, 33

Tweede kol.

a Ge 1:16

Jes 54:10

Jer 31:35-37

b 2Sa 7:16, 17

2Sa 23:5

Ps 89:34, 35

Ps 132:11

Jes 55:3

c Jes 9:6

Lu 1:32, 33

d De 21:5

e Ge 1:16

f Ps 104:19

Jer 31:35, 36

g Esr 2:1, 70

h Jes 14:1

Jer 31:20

offers te verbrand en offerandes te bring."

19 Jehovah het weer met Jeremia gepraat en gesê: **20** "Dit is wat Jehovah sê: 'As julle my verbond van die dag en my verbond van die nag kon verbreek om te keer dat dag en nag op die regte tyd kom,^a **21** slegs dan sou my verbond met my kneg Dawid verbreek kon word,^b so dat hy nie 'n seun sou hê wat as koning op sy troon regeer nie.^c Dieselfde geld vir my verbond met die Levitiese priesters, my dienaars.^d **22** Net soos die leërmag van die hemel nie getel kan word nie en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal ek die nageslag* vermeerder van my kneg Dawid en die Leviete wat voor my dien."

23 Jehovah het weer met Jeremia gepraat en gesê: **24** "Het jy nie gehoor wat hierdie volk sê nie? Hulle sê: 'Jehovah sal die twee families wat hy uitgekies het, verwerp.' En hulle behandel my volk sonder respek, en hulle beskou hulle nie meer as 'n nasie nie.

25 "Dit is wat Jehovah sê: 'Net soos ek my verbond van die dag en die nag,^e die wette* van hemel en aarde,^f gemaak het, **26** so sal ek ook nooit die nageslag* van Jakob en van my kneg Dawid verwerp nie. Ek sal altyd heersers van sy nageslag* neem om oor die nakomelinge* van Abraham, Isak en Jakob te regeer. Want ek sal hulle gevangenes terugbring^g en vir hulle jammer voel."^h

34 Jeremia het die volgende boodskap van Jehovah ontvang toe koning Nebukadnesar* van Babilon en sy hele leërmag en al die koninkryke van

33:22, 26 *Lett. "saad". **33:25** *Of "wetsbepalings". **34:1** *Lett. "Nebukadnesar", 'n wisselvorm van die naam.

die aarde oor wie hy regeer het en al die volke teen Jerusalem en al haar stede geveg het:^a

2 "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Gaan praat met koning Sedeki'a^b van Juda en sê vir hom: "Dit is wat Jehovah sê: 'Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Babilon, en hy sal dit met vuur verbrand.^c

3 En jy sal nie uit sy hand ontsnap nie, want jy sal beslis gevang word en aan hom oorgelewer word.^d En jy sal die koning van Babilon in die oë kyk, en hy sal direk met jou praat, en jy sal na Babilon gaan.^e **4** Maar hoor die woord van Jehovah, o koning Sedeki'a van Juda: 'Dit is wat Jehovah oor jou sê: "Jy sal nie deur die swaard sterf nie. **5** Jy sal in vrede sterf,^f en hulle sal vir jou 'n seremonie hou waartydens hulle wierook sal brand, net soos hulle gedoen het vir jou vaders, die vorige konings wat voor jou was, en hulle sal oor jou treur en sê: 'Ag, o heer!' Want 'ek het die woord gespreek,' sê Jehovah."''''''

6 Die profeet Jeremia het toe al hierdie woorde vir koning Sedeki'a van Juda in Jerusalem gesê **7** toe die leërmagte van die koning van Babilon teen Jerusalem, teen al die stede van Juda wat oorgebly het,^g teen Lagis^h en teen Ase'kaⁱ geveg het, want hulle was die enigste versterkte stede wat oorgebly het van die stede van Juda.

8 Jeremia het 'n boodskap van Jehovah ontvang nadat koning Sedeki'a 'n verbond met die hele volk in Jerusalem gemaak het om vryheid aan hulle te verkondig.^j **9** Elkeen moes sy Hebreëuse slawe en slavinne bevry, sodat niemand 'n mede-Jood as sy slaaf sou aanhou nie. **10** En al die leiers en die hele volk was gehoorsaam. Elkeen van hulle het 'n verbond ge-

HFST. 34

- a 2Kn 25:1
Jer 32:2
Jer 39:1
Jer 52:4
- b 2Kl 36:11
Jer 37:1
- c Jer 21:10
Jer 32:28, 29
Jer 39:8
- d Jer 37:17
Jer 39:5
- e 2Kn 25:6, 7
Ese 12:13
- f Ese 17:16
- g Jer 4:5
- h Mi 1:13
- i Jos 15:20, 35
- j Eks 21:2

Tweede kol.

- a Eks 24:7
- b Eks 13:3
- c Eks 21:2
Le 25:10
Le 25:39-42
De 15:12
- d Le 19:12
- e Eks 21:2
Le 25:10
- f 2Kn 25:3
Jer 21:7
- g Jer 15:2, 4
Jer 29:18

maak om sy slaaf en slavin vry te laat en hulle nie langer as slawe aan te hou nie. Hulle was gehoorsaam en het hulle vrygelaat. **11** Maar later het hulle die slawe en slavinne wat hulle vrygelaat het, teruggebring en hulle gedwing om weer slawe te word. **12** Toe het Jeremia 'n boodskap van Jehovah ontvang, en Jehovah het gesê:

13 "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Ek het 'n verbond met julle voorvaders gemaak^a op die dag toe ek hulle uit Egipte, uit die huis van slawerny, gebring het,^b en ek het gesê: **14** "Aan die einde van sewe jaar moet elkeen van julle die Hebreëuse broer wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, vrylaat, en jy moet hom bevry."^c Maar julle voorvaders het nie geluister of aandag geskenk aan my nie. **15** En onlangs* het julle omgedraai en gedoen wat reg is in my oë deur vryheid aan julle medemens te verkondig, en julle het 'n verbond voor my gemaak in die huis wat my naam dra. **16** Maar toe het julle omgedraai en my naam onheilig^d deur julle slawe en slavinne terug te bring wat julle vrygelaat het volgens hulle wens, en julle het hulle gedwing om weer slawe te word.'

17 "Daarom sê Jehovah: 'Julle het my nie gehoorsaam deur elkeen aan sy broer en aan sy medemens vryheid te verkondig nie.^e Daarom sal ek nou aan julle vryheid verkondig,' sê Jehovah, 'vryheid om deur die swaard, deur vreeslike siektes en deur die hongersnood te sterf,^f en ek sal julle iets skokkends maak vir al die koninkryke van die aarde.^g **18** En dit is wat sal gebeur met die manne wat my ver-

34:15 * Lett. "vandag".

bond verbreek het deur nie die woorde uit te voer van die verbond wat hulle voor my gemaak het toe hulle die kalf in twee gesny het en tussen die helftes deurgegaan het nie,^a **19** naamlik die leiers van Juda, die leiers van Jerusalem, die hofbeamptes, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die helftes van die kalf deurgegaan het: **20** Ek sal hulle in die hand gee van hulle vyande en van dié wat hulle lewe wil neem, en hulle lyke sal kos word vir die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde.^b **21** En ek sal koning Sedeki'a van Juda en sy hoë amptenare gee in die hand van hulle vyande en in die hand van dié wat hulle wil doodmaak en in die hand van die leërmagte van die koning van Babilon,^c wat van julle af wegtrek.^d

22 “Ek sal die bevel gee, sê Jehovah, ‘en ek sal hulle na hierdie stad terugbring, en hulle sal daarteen veg en dit inneem en dit met vuur verbrand.^e Ek sal die stede van Juda ’n verwoeste plek maak, sonder ’n enkele inwoner.’”^f

35 Jeremia het in die tyd van Joja'kim,^g die seun van Josi'a, die koning van Juda, die volgende boodskap van Jehovah ontvang: **2** “Gaan na die huis van die Regabiete^h en praat met hulle en bring hulle na die huis van Jehovah, na een van die eetkamers. Bied dan vir hulle wyn aan om te drink.”

3 Toe het ek Jaásan'ja, die seun van Jeremia, die seun van Habassin'ja, sowel as sy broers, al sy seuns en die hele huis van die Regabiete **4** in die huis van Jehovah ingebring. Ek het hulle gebring na die eetkamer van die seuns van Hanan, die seun van Jigdal'ja, ’n man van

HFST. 34

a Ge 15:10, 17

b De 28:26
Ps 79:2
Jer 16:4c 2Kn 25:6, 7
Klg 4:20

d Jer 37:5

e 2Kn 25:9, 10
Jer 32:29
Jer 39:8f Le 26:33
Jer 44:2

HFST. 35

g 2Kn 23:34
2Kr 36:5
Da 1:1h 2Kn 10:15
1Kr 2:55

Tweede kol.

a 2Kn 10:15

b 2Kr 36:5, 6
Da 1:1

die ware God. Daardie eetkamer was langs die eetkamer van die leiers, wat bo die eetkamer van Maás'eja, die seun van Sallum, die deurwagter, was. **5** Toe het ek koppies en bekere vol wyn voor die manne van die huis van die Regabiete gesit en vir hulle gesê: “Drink wyn.”

6 Maar hulle het gesê: “Ons sal nie wyn drink nie, want Jo'nadab,^a die seun van Regab, ons voorvader, het ons die volgende bevel gegee: ‘Nie julle of julle kinders mag ooit wyn drink nie. **7** En julle mag nie ’n huis bou, saad saai, plant of ’n wingerd verkry nie. Julle moet eerder altyd in tente woon, sodat julle lank kan lewe in die land waar julle as uitlanders woon.’

8 Ons bly dus gehoorsaam aan die stem van Jo'nadab, die seun van ons voorvader Regab, in alles wat hy ons beveel het deur nooit enige wyn te drink nie – nie ons, ons vrouens, ons seuns of ons dogters nie. **9** En ons bou nie huise om in te woon nie, en ons het ook nie wingerde of landerye of saad nie. **10** Ons hou aan om in tente te woon, en ons bly gehoorsaam aan alles wat Jo'nadab, ons voorvader, ons beveel het. **11** Maar toe koning Nebukadne'sar* van Babilon teen die land opgetrek het,^b het ons gesê: ‘Kom, laat ons in Jerusalem ingaan om van die leërmag van die Galdeërs en van die Siriërs af weg te kom.’ En nou woon ons in Jerusalem.”

12 En Jehovah het met Jeremia gepraat en gesê: **13** “Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Gaan en sê vir die manne van Juda en vir die inwoners van Jerusalem: “Was julle nie heeltyd aangespoor om my woorde te

35:11 *Lett. “Nebukadresar”, ’n wisselvorm van die naam.

gehoorsaam nie?”^a sê Jehovah. **14** “Jo’nadab, die seun van Regab, het sy nakomelinge beveel om nie wyn te drink nie, en hulle het gedoen wat hy gesê het deur tot vandag toe geen wyn te drink nie. Op hierdie manier het hulle die bevel van hulle voorvader gehoorsaam.^b Maar ek het keer op keer met julle gepraat,^c en tog het julle my nie gehoorsaam nie.^c **15** En ek het al my knegte, die profete, na julle toe bly stuur. Ek het hulle keer op keer gestuur^d en gesê: ‘Keer asseblief terug van julle goddelose weë,^e elkeen van julle, en doen wat reg is! Moenie agter ander gode aanloop en hulle dien nie. Dan sal julle bly woon in die land wat ek aan julle en aan julle voorvaders gegee het.’^f Maar julle het nie aandag geskenk of na my geluister nie. **16** Die nakomelinge van Jo’nadab, die seun van Regab, was gehoorsaam aan die bevel wat hulle voorvader hulle gegee het,^g maar hierdie volk het nie na my geluister nie.”^h

17 “Daarom is dít wat Jehovah, die God van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Ek bring al die rampspoed oor Juda en oor al die inwoners van Jerusalem waarteen ek hulle gewaarsku het,^h want ek het met hulle gepraat, maar hulle het nie geluister nie, en ek het hulle bly roep, maar hulle het nie geantwoord nie.”ⁱ

18 En Jeremia het vir die huis van die Regabiete gesê: “Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Julle het die bevel van julle voorvader Jo’nadab gehoorsaam, en julle hou aan om al sy bevele te gehoorsaam en doen

35:14 *Lett. “vroeg opgestaan en gepraat”. **35:15** *Lett. “vroeg opgestaan en gestuur”.

HFST. 35

a Jer 32:33

b Jer 35:8

c 2Kr 36:15, 16
Ne 9:26, 30
Jer 25:3

d Jer 7:24, 25

e Jes 1:16
Jer 25:5
Ese 18:30
Ho 14:1

f Jer 7:5-7

g Jer 35:8

h De 28:15
De 29:26, 27
Jos 23:15, 16
2Kn 23:27

i Jes 65:12
Jes 66:4
Jer 7:13, 14

Tweede kol.

HFST. 36

a 2Kn 23:36
Jer 25:1

b Jer 4:16
Jer 32:30

c Jer 1:5
Jer 25:9

d Jer 1:1, 2
Jer 25:3

e Jes 55:7
Ese 33:11
Mi 7:18

f Jer 32:12
Jer 45:2-5

g Jer 45:1

presies wat hy julle beveel het, en daarom **19** sê Jehovah van die leërmagte, die God van Israel: “Daar sal altyd ’n nakomelinge van Jo’nadab, die seun van Regab, wees wat in my teenwoordigheid dien.”^h

36 In die vierde jaar van Josi’a^a, die seun van Josi’a, die koning van Juda, het Jeremia die volgende boodskap van Jehovah ontvang: **2** “Neem ’n boekrol en skryf al die woorde daarin wat ek teen Israel en Juda^b en teen al die nasies vir jou gesê het,^c van die eerste dag dat ek met jou in Josi’a se tyd gepraat het tot vandag toe.^d **3** Miskien, wanneer dié van die huis van Juda hoor van al die rampspoed wat ek oor hulle wil bring, sal hulle hulle goddelose weë los, sodat ek hulle oortreding en hulle sonde kan vergewe.”^e

4 Jeremia het toe vir Barug,^f die seun van Neri’a, geroep, en Jeremia het al die woorde wat Jehovah vir hom gesê het, gedikteer, en Barug het dit in die boekrol geskryf.^g **5** Toe het Jeremia vir Barug gesê: “Ek kan nie in die huis van Jehovah ingaan nie. **6** Daarom sal jy moet ingaan en die woorde van Jehovah hardop uit die boekrol moet lees wat jy geskryf het en wat ek gedikteer het. Lees dit in die huis van Jehovah in die teenwoordigheid van die volk op ’n dag wanneer almal vas. Dan sal jy dit kan lees vir die hele volk van Juda wat uit hulle stede kom. **7** Miskien sal Jehovah hulle versoek om genade hoor en sal elkeen van sy goddelose weë terugkeer, want Jehovah het groot woede teen hierdie volk verkondig.”

8 Barug, die seun van Neri’a, het dus alles gedoen wat die profeet Jeremia hom beveel

het. Hy het die woorde van Jehovah in die huis van Jehovah hardop uit die boekrol gelees.^a

9 En in die vyfde jaar van Jaja'kim,^b die seun van Josi'a, die koning van Juda, in die negende maand, het almal in Jerusalem en almal wat uit die stede van Juda na Jerusalem gekom het, 'n vas voor Jehovah afgekondig.^c **10** Barug het toe die woorde van Jeremia hardop uit die boekrol gelees. Hy het dit in die teenwoordigheid van die hele volk gedoen by die huis van Jehovah, in die eetkamer van Gemar'ja,^d die seun van Safan,^e die kopiis,^f in die boonste voorhof, by die ingang van die nuwe poort van die huis van Jehovah.^f

11 Toe Miga'ja, die seun van Gemar'ja, die seun van Safan, al die woorde van Jehovah in die boekrol gehoor het, **12** het hy afgegaan na die paleis* van die koning, na die sekretaris se kantoor. Al die leiers^g het daar gesit: die sekretaris Elisa'ma,^g Dela'ja, die seun van Sema'ja, El'natan,^h die seun van Agbor,ⁱ Gemar'ja, die seun van Safan, Sedeki'a, die seun van Hanan'ja, en al die ander leiers. **13** Miga'ja het hulle al die woorde vertel wat hy gehoor het toe Barug in die teenwoordigheid van die volk uit die boekrol gelees het.

14 Toe het al die leiers Jehu'di, die seun van Netan'ja, die seun van Selem'ja, die seun van Kusi, na Barug toe gestuur om te sê: "Kom, en bring die boekrol saam met jou waaruit jy in die teenwoordigheid van die volk gelees het." Barug, die seun van Neri'a, het die boekrol in sy hand geneem en na hulle toe gegaan. **15** Hulle het vir

HFST. 36

a Jer 7:1, 2

b 2Kn 23:36

c 2Kr 20:2, 3
Est 4:15, 16

d Jer 36:25

e 2Kn 22:8
2Kr 34:20, 21
Jer 26:24
Jer 39:13, 14
Ese 8:11

f Jer 26:10

g Jer 36:20

h Jer 36:25

i 2Kn 22:14
Jer 26:22

Tweede kol.

a Jer 36:26

b Jer 36:14

hom gesê: "Sit asseblief en lees dit hardop vir ons." Toe het Barug dit vir hulle gelees.

16 En toe hulle al die woorde hoor, het hulle bang na mekaar gekyk en vir Barug gesê: "Ons moet beslis al hierdie woorde vir die koning vertel." **17** En hulle het vir Barug gesê: "Vertel ons asseblief hoe jy al hierdie woorde neergeskryf het. Het hy dit aan jou gedikteer?" **18** Barug het hulle geantwoord: "Hy het al hierdie woorde aan my gedikteer, en ek het dit met ink in hierdie boekrol neergeskryf." **19** Die leiers het vir Barug gesê: "Gaan kruip weg, jy en Jeremia, en moenie dat enigiemand uitvind waar julle is nie."^a

20 Toe het hulle na die koning gegaan, na die voorhof, en hulle het die boekrol in die kantoor van die sekretaris Elisa'ma neergesit, en hulle het die koning alles vertel wat hulle gehoor het.

21 Toe het die koning Jehu'di^b gestuur om die boekrol te gaan haal, en hy het dit uit die kantoor van die sekretaris Elisa'ma gebring. Jehu'di het dit begin lees in die teenwoordigheid van die koning en al die leiers wat by die koning gestaan het. **22** Die koning het in die winterhuis gesit, in die negende maand,* met 'n vuur wat in die kolebak voor hom gebrand het. **23** Nadat Jehu'di drie of vier kolomme gelees het, het die koning daardie stuk met die sekretaris se mes afgesny en dit in die vuur gegooi wat in die kolebak gebrand het, totdat die hele boekrol in die vuur beland het wat in die kolebak was. **24** En hulle was nie bang nie. Nie die koning of enige van sy knegte

36:10 *Of "oorskrywer". 36:12 *Lett. "huis". ^aOf "hofbeamptes".

36:22 *Die laaste helfte van November en die eerste helfte van Desember. Sien Aanh. B15.

wat al hierdie woorde gehoor het, het hulle klere geskeur nie. **25** Al het El'natan,^a Dela'ja^b en Gemar'ja^c die koning gesmeek om nie die boekrol te verbrand nie, het hy nie na hulle geluister nie. **26** Verder het die koning Jerag'meël, die seun van die koning, Sera'ja, die seun van As'riël, en Selem'ja, die seun van Ab'deël, beveel om die sekretaris Barug en die profeet Jeremia te gaan haal, maar Jehovah het hulle weggesteek.^d

27 Nadat die koning die boekrol verbrand het waarin die woorde was wat Jeremia aan Barug gedikteer het, het Jeremia weer 'n boodskap van Jehovah ontvang,^e wat gesê het: **28** "Neem 'n ander boekrol, en skryf daarin al die woorde wat in die eerste boekrol was, wat koning Joja'kim van Juda verbrand het.^f **29** En jy moet teen koning Joja'kim van Juda sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Jy het hierdie boekrol verbrand en gesê: 'Hoekom het jy daarin geskryf: "Die koning van Babilon sal beslis kom en hierdie land vernietig en mens en dier daaruit verwyder"?'^g **30** Daarom is dit wat Jehovah teen koning Joja'kim van Juda sê: 'Hy sal niemand hê wat op die troon van Dawid sit nie,^h en sy lyk sal in die dag oop lê in die hitte en in die nag oop lê in die ryp.ⁱ **31** Ek sal hom en sy nakomelinge* en sy knegte straf vir hulle oortreding, en ek sal oor hulle en oor die inwoners van Jerusalem en oor die manne van Juda al die rampspoed bring wat ek teen hulle gespreek het,^j want hulle het nie geluister nie."^k

32 Jeremia het toe 'n ander boekrol geneem en dit vir die sekretaris Barug,^l die seun van Neri'a, gegee, en Jeremia het

36:31 *Lett. "saad".

HFST. 36

a 2Kn 24:8

b Jer 36:12

c Jer 36:10

d Jer 1:19

e Jer 36:2

f Jer 36:23

g Jer 25:8, 9

h 2Kn 24:6, 8
2Kn 24:15
2Kr 36:9, 10
Jer 22:24, 30

i Jer 22:18, 19

j De 28:15
Jer 19:15

k 2Kr 36:15, 16

l Jer 36:2, 4

Tweede kol.

a Jer 36:23

HFST. 37

b 2Kn 24:17-19
1Kr 3:15

c 2Kn 24:12
Jer 22:24

d 2Kr 36:10-12

e Jer 38:1, 4

f 2Kn 25:18, 21
Jer 21:1, 2
Jer 29:25

g Jer 37:15

h Ese 17:15

i Jer 34:21

j Jer 17:5
Klg 4:17
Ese 17:17

k Jer 32:29
Jer 34:22
Jer 39:8

vir Barug gedikteer, en hy het al die woorde van die boekrol wat koning Joja'kim van Juda in die vuur verbrand het, daarin geskryf.^a En nog baie soortgelyke woorde is bygevoeg.

37 En koning Sedeki'a,^b die seun van Josi'a, het begin regeer in die plek van Gonja,^{*c} die seun van Joja'kim, want koning Nebukadne'sar[#] van Babilon het hom koning gemaak in die land van Juda.^d **2** Maar hy en sy knegte en die volk van die land het nie na die woorde van Jehovah geluister wat hy deur middel van die profeet Jeremia gesê het nie.

3 En koning Sedeki'a het Jehu'gal,^e die seun van Selem'ja, en Sefan'ja,^f die seun van die priester Maäse'ja, na die profeet Jeremia toe gestuur om te sê: "Bid asseblief vir ons tot Jehovah ons God." **4** Jeremia het vryelik onder die volk rond-beweeg, want hulle het hom nog nie in die tronk gesit nie.^g **5** Intussen het Faraö se leërmag uit Egipte vertrek,^h en die Galdeërs wat Jerusalem beleër het, het die berig oor hulle gehoor. Daarom het hulle van Jerusalem af weggetrek.ⁱ **6** Toe het die profeet Jeremia die volgende boodskap van Jehovah ontvang: **7** "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê: 'Dit is wat julle vir die koning van Juda moet sê, wat julle na my toe gestuur het om my vir leiding te vra: "Die leërmag van Faraö wat julle kom help, sal na hulle land, Egipte, moet teruggaan.^j **8** En die Galdeërs sal terugkom en teen hierdie stad veg en dit inneem en dit met vuur verbrand."^k **9** Dit is

37:1 *Ook Jojagin en Jagonja genoem. [#]Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam.

wat Jehovah sê: "Moenie julle self bedrieg deur te sê: 'Die Galdeërs sal beslis van ons af weggaan' nie, want hulle sal nie weggaan nie. **10** Selfs al sou julle die hele leërmag van die Galdeërs wat teen julle veg, verslaan, en selfs al bly net hulle gewonde manne oor, sou hulle nog steeds in hulle tente opstaan en hierdie stad met vuur verbrand."'''^a

11 Toe die leërmag van die Galdeërs weens Farao se leërmag van Jerusalem weggetrek het,^b **12** het Jeremia van Jerusalem na die land van Benjamin^c gegaan om sy deel daar onder sy volk te ontvang. **13** Maar toe hy die Benjamin-poort bereik het, het die beampte wat oor die wagtetoesig gehou het en wie se naam Jiri'a was, die seun van Selem'ja, die seun van Hanan'ja, die profeet Jeremia gegryp en gesê: "Jy loop oor na die Galdeërs!" **14** Maar Jeremia het gesê: "Dit is nie waar nie! Ek loop nie oor na die Galdeërs nie." Maar hy het nie na hom geluister nie. Jiri'a het Jeremia dus in hegtenis geneem en hom na die leiers toe gebring. **15** Die leiers was baie kwaad vir Jeremia,^d en hulle het hom geslaan en hom in die tronk* gesit,^e in die sekretaris Jo'natan se huis, wat in 'n tronk omskep is. **16** Jeremia is in een van die ondergrondse selle* gesit, en hy het baie dae daar gebly.

17 Toe het koning Sedeki'a hom laat haal, en die koning het hom in die geheim in sy paleis* ondervra.^f Hy het gevra: "Is daar enige boodskap van Jehovah?" Jeremia het gesê: "Daar is!" en hy het verder gesê: "U sal

37:15 *Lett. "die huis van die boeie".
37:16 *Lett. "die huis van die reënpuit, in die gewelfde kamers". **37:17** *Lett. "huis".

HFST. 37

- a Jer 21:4
b Jer 34:21
c Jer 1:1
d Jer 26:11
Jer 38:4
e Jer 20:2
Heb 11:32, 36
f Jer 38:14

Tweede kol.

- a Jer 21:7
Jer 24:8
Jer 34:21
Ese 12:12, 13
b Jer 14:13
Jer 23:16, 17
Jer 27:14
Jer 28:1, 2
Klg 2:14
c Jer 37:15
d Jer 26:15
Jer 38:8, 9
e Ne 3:25
Jer 32:2
Jer 33:1
Jer 38:13, 28
f 1Kn 17:6
g 2Kn 25:3
Jer 38:9

HFST. 38

- h Jer 37:3
i Jer 21:1, 2
j Jer 27:13
Jer 29:18
Ese 7:15
k Jer 21:8-10
l 2Kn 25:1, 2
2Kr 36:17

in die hand van die koning van Babilon gegee word!"^a

18 Jeremia het ook vir koning Sedeki'a gevra: "Watter sonde het ek teen u en teen u knegte en teen hierdie volk gepleeg dat julle my in die tronk gesit het? **19** Waar is julle profete nou wat vir julle geprofeeteer en gesê het: 'Die koning van Babilon sal nie teen julle en teen hierdie land kom nie'?"^b

20 Luister nou asseblief, o my heer die koning. Luister asseblief na my versoek om genade. Moet my nie terugstuur na die huis van die sekretaris Jo'natan^c nie, anders sal ek daar sterf."^d **21** Toe het koning Sedeki'a beveel dat Jeremia in die Voorhof van die Wagte^e onder bewaking geplaas word, en daar is daagliks vir hom 'n ronde brood uit die straat van die bakkers gegee,^f totdat al die brood in die stad op was.^g En Jeremia het in die Voorhof van die Wagte gebly.

38 En Sefat'ja, die seun van Mattan, Gedal'ja, die seun van Pasgur, Jugal,^h die seun van Selem'ja, en Pasgur,ⁱ die seun van Malki'a, het gehoor toe Jeremia vir die hele volk sê: **2** "Dit is wat Jehovah sê: 'Die mense wat in hierdie stad bly, sal deur die swaard, hongersnood en vreeslike siektes^j sterf. Maar die lewens van die mense wat hulle aan die Galdeërs oorgee,* sal gespaar word, en hulle sal bly lewe."^k **3** Dit is wat Jehovah sê: 'Hierdie stad sal beslis aan die leërmag van die koning van Babilon oorgelewer word, en hy sal dit inneem.'"^l

4 Die leiers het vir die koning gesê: "Laat hierdie man

38:2 *Lett. "wat na die Galdeërs uitgaan".

asseblief doodgemaak word,^a want met hierdie woorde ver-
swak hy die moed* van die sol-
date wat in hierdie stad oor-
bly sowel as die moed van die
hele volk. Want hierdie man wil
nie vrede vir hierdie volk hê
nie, maar rampspoed.” **5** Kon-
ing Sedeki'a het geantwoord:
“Hy is in julle hande, want die
koning kan niks doen om julle
te keer nie.”

6 Hulle het Jeremia toe ge-
neem en hom gegooi in die reën-
put van Malki'a, die seun van
die koning, wat in die Voor-
hof van die Wagte was.^b Hul-
le het Jeremia met toue laat af-
sak. Daar was geen water in die
reënput nie, net modder, en Je-
remia het in die modder begin
wegsink.

7 Ebed-Meleg,^c die Etiopiër,
'n eunug* in die koning se pa-
leis,[#] het gehoor dat hulle Je-
remia in die reënput gesit het.
Die koning het in die Benjamin-
poort gesit,^d **8** en daarom het
Ebed-Meleg uit die koning se pa-
leis[#] gegaan en met die koning
gaan praat en gesê: **9** “O my
heer die koning, hierdie manne
het 'n baie slegte ding aan Je-
remia die profeet gedoen! Hulle
het hom in die reënput gegooi,
en hy sal daar sterf weens die
hongersnood, want daar is nie
meer brood in die stad oor nie.”^e

10 Toe het die koning Ebed-
Meleg, die Etiopiër, beveel en
gesê: “Neem hiervandaan 30
manne saam met jou, en trek
Jeremia die profeet uit die
reënput op voordat hy sterf.”

11 Ebed-Meleg het dus die man-
ne saam met hom geneem en in
die koning se paleis[#] ingegaan,
na 'n plek onder die skatkamer,^f
en hulle het daar 'n paar ou lap-

HFST. 38

a Jer 26:11

b Jer 33:1
Jer 37:21
Jer 38:28

c Jer 39:16

d Jer 37:13

e Jer 52:6

f 2Kn 20:13

Tweede kol.

a Jer 37:21

b Jer 21:9
Jer 27:12

c 2Kn 25:8, 9

d 2Kn 25:6
Jer 39:5

pe en ou stukke materiaal ge-
neem en dit met toue na Jere-
mia in die reënput laat afsak.
12 Toe het Ebed-Meleg, die
Etiopiër, vir Jeremia gesê: “Sit
asseblief die lappe en die stuk-
ke materiaal tussen jou armhol-
tes en die toue.” Jeremia het dit
gedoen, **13** en hulle het Jere-
mia met die toue opgetrek en
hom uit die reënput uitgehaal.
En Jeremia het in die Voorhof
van die Wagte gebly.^a

14 Koning Sedeki'a het Jere-
mia die profeet na hom toe laat
kom by die derde ingang, wat
in die huis van Jehovah is, en
die koning het vir Jeremia gesê:
“Ek wil jou iets vra. Moet niks
vir my wegsteek nie.” **15** Jere-
mia het toe vir Sedeki'a gesê:
“As ek u vertel, sal u my beslis
doodmaak. En as ek vir u raad
gee, sal u nie na my luister nie.”
16 Toe het koning Sedeki'a in
die geheim vir Jeremia gesweer
en gesê: “So waar as wat Jero-
vab lewe, wat vir ons lewe gegee
het, ek sal jou nie doodmaak
nie, en ek sal jou nie oorlewer
aan hierdie manne wat jou wil
doodmaak nie.”

17 Jeremia het toe vir Sede-
ki'a gesê: “Dit is wat Jehovah,
die God van die leërmagte, die
God van Israel, sê: “As jy jou oor-
gee aan* die bevelvoerders van
die koning van Babilon, sal jou
lewe gespaar word en sal hier-
die stad nie met vuur verbrand
word nie, en jy en jou huisgesin
sal gespaar word.”^b **18** Maar as
jy jou nie oorgee aan* die be-
velvoerders van die koning van
Babilon nie, dan sal hierdie
stad aan die Galdeërs oorgele-
wer word, en hulle sal dit met
vuur verbrand,^c en jy sal nie uit
hulle hand ontsnap nie.”^d

38:4 *Lett. “hande”. 38:7 *Of “hofbe-
amppte”. 38:7, 8, 11 #Lett. “huis”.

38:17 *Lett. “jy uitgaan na”. 38:18
*Lett. “jy nie uitgaan na”.

19 Toe het koning Sedeki'a vir Jeremia gesê: "Ek is bang vir die Jode wat na die Galdeërs oorgeloop het, want as ek aan hulle oorgelewer word, sal hulle my dalk wreed behandel." **20** Maar Jeremia het gesê: "U sal nie aan hulle oorgelewer word nie. Gehoorsaam asseblief die stem van Jehovah deur te doen wat ek vir u sê, en dit sal met u goed gaan, en u sal bly lewe. **21** Maar Jehovah het aan my geopenbaar wat sal gebeur as u weier om u oor te gee.* **22** Al die vrouens wat in die paleis* van die koning van Juda oorbly, word na die bevelvoerders van die koning van Babilon uitgelei,^a en hulle sê:

'Die manne wat u vertrou het,[#] het u bedrieg en die oorhand oor u gekry.^b

Hulle het u voet in die modder laat sink.

Nou het hulle weggedraai en teruggetrek.'

23 En hulle lei al u vrouens en al u kinders uit na die Galdeërs, en u sal nie uit hulle hand ontsnap nie, maar u sal deur die koning van Babilon gevange geneem word,^c en as gevolg van u sal hierdie stad met vuur verbrand word."^d

24 Sedeki'a het toe vir Jeremia gesê: "Moenie dat enigiemand van hierdie dinge uitvind nie, anders gaan jy doodgemaak word. **25** En as die leiers hoor dat ek met jou gepraat het en hulle vir jou kom sê: 'Sê asseblief vir ons wat jy vir die koning gesê het. Moet vir ons niks wegsteek nie, dan sal ons jou nie doodmaak nie.'^e Wat het die koning vir jou gesê? **26** Dan moet jy vir hulle

38:21 *Lett. "om uit te gaan". **38:22** *Lett. "huis". [#]Lett. "Die manne van u vrede".

HFST. 38

a Jer 39:3

b Klg 1:2

c 2Kn 25:7

d Jer 52:8, 13

e Jer 38:4

Tweede kol.

a Jer 37:15

b Jer 15:20

Jer 32:2

Jer 33:1

Jer 37:21

Jer 39:13, 14

c 2Kn 25:8, 9

2Kr 36:17

HFST. 39

d 2Kn 25:1, 2

Jer 52:4, 5

Ese 24:1, 2

e 2Kn 25:3, 4

Jer 52:6, 7

Ese 33:21

f Jer 1:15

g De 28:25

h 2Kn 25:4-7

Jer 52:7-11

sê: 'Ek het die koning versoek om my nie na die huis van Jo'natan terug te stuur om daar te sterf nie.'^a

27 Later het al die leiers na Jeremia toe gekom en hom ondervra. Hy het vir hulle alles gesê wat die koning hom beveel het om te sê. Toe het hulle vir hom niks verder gesê nie, want niemand het die gesprek gehoor nie. **28** Jeremia het in die Voorhof van die Wagte gebly^b tot die dag dat Jerusalem ingeneem is. Hy was nog steeds daar toe Jerusalem ingeneem is.^c

39 In die negende jaar van koning Sedeki'a van Juda, in die tiende maand, het koning Nebukadne'sar* van Babilon en sy hele leërmag na Jerusalem toe gekom en dit beleër.^d

2 In die 11de jaar van Sedeki'a, in die vierde maand, op die negende dag van die maand, het hulle deur die stad se muur gebreek.^e **3** En al die bevelvoerders van die koning van Babilon het ingegaan en in die Middelpoort^f gaan sit, naamlik Ner'gal-Sare'ser, die Samgar, Nebo-Sar'segim, die Rab'saris,^{*} Ner'gal-Sare'ser, die Rabmag,[#] en die res van die bevelvoerders van die koning van Babilon.

4 Toe koning Sedeki'a van Juda en al die soldate hulle sien, het hulle gevlug^g en in die nag deur die koning se tuin gegaan en deur die poort tussen die twee mure uit die stad uitgegaan, en hulle het gebly op die pad van die A'raba.^h **5** Maar

39:1 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **39:3** *Of, volgens 'n ander woordverdeling van die Hebreeuse teks: "Nergal-Sareser, Samgar-Nebo, Sarsegim, Rabsaris". [#]Of "die hoofstewenaar (hoofstervoorspeller)".

die leërmag van die Galdeërs het hulle agternagesit, en hulle het Sedeki'a in die woestynvlaktes van Je'rigo ingehaal.^a Hulle het hom gevang en hom gebring na koning Nebukadne'sar* van Babilon, in Ribla,^b in die land Hamat,^c waar hy hom gevonnissen het. **6** Die koning van Babilon het die seuns van Sedeki'a voor sy oë daar in Ribla laat doodmaak, en die koning van Babilon het al die belangrike mense van Juda laat doodmaak.^d **7** Toe het hy Sedeki'a se oë verblind, en daarna het hy sy voete in koperboeie gesit om hom na Babilon te neem.^e

8 Die Galdeërs het toe die koning se paleis* en die huise van die volk afgebrand,^f en hulle het die mure van Jerusalem afgebreek.^g **9** Nebusara'dan,^h die hoof van die wagte, het die res van die volk wat in die stad oorgebly het, die mense wat na hom oorgeloop het en almal wat agtergebly het, in ballingskap na Babilon wegge neem.

10 Maar Nebusara'dan, die hoof van die wagte, het van die armste mense, dié wat niks gehad het nie, in die land van Juda agtergelaat. Op daardie dag het hy ook vir hulle wingerde en landerye gegee om te bewerk.^{*i}

11 Koning Nebukadne'sar* van Babilon het toe vir Nebusara'dan, die hoof van die wagte, hierdie bevel in verband met Jeremia gegee: **12** "Neem hom en sorg vir hom. Moet hom geen kwaad aandoen nie, en gee vir hom wat hy ook al van jou vra."^j

13 Nebusara'dan, die hoof van die wagte, Nebusas'ban, die Rab'saris,* Ner'gal-Sare'ser, die

HFST. 39

a Jer 32:4
Jer 38:18

b 2Kn 23:31, 33

c 2Kn 17:24

d Jer 21:7
Jer 34:18-20

e Ese 12:13

f Jes 5:9
Jer 38:18g 2Kn 25:9-11
2Kr 36:17, 19
Ne 1:3
Jer 52:13-15h 2Kn 25:20
Jer 40:1
Jer 52:12i 2Kn 25:12
Jer 52:16

j Jer 40:2, 4

Tweede kol.

a Jer 38:28

b 2Kn 25:22
Jer 40:5
Jer 41:2c 2Kr 34:20, 21
Jer 26:24

d 2Kn 22:8

e Jer 32:2
Jer 37:21

f Jer 38:7

g Jer 45:2, 5

h Ps 37:39, 40
Jer 17:7

HFST. 40

i Jer 39:9
Jer 52:12, 13

j Jos 18:21, 25

Rabmag,* en al die belangrikste manne van die koning van Babilon het **14** Jeremia uit die Voorhof van die Wagte^a laat haal en hom in die sorg geplaas van Gedal'ja,^b die seun van Ahi'kam,^c die seun van Safan,^d om na Gedal'ja se huis geneem te word. Hy het dus onder die volk gewoon.

15 Terwyl Jeremia in die Voorhof van die Wagte opgesluit was,^e het Jehovah met hom gepraat en gesê: **16** "Gaan sê vir Ebed-Meleg,^f die Etiopiër: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: "Ek laat my woorde teen hierdie stad waar word, sodat rampspoed sal kom in plaas van iets goeds, en op daardie dag sal jy dit sien gebeur.'"

17 "Maar ek sal jou op daardie dag red,' sê Jehovah, 'en jy sal nie oorgelewer word aan die manne vir wie jy bang is nie.'

18 "Want ek sal jou beslis laat wegkom, en jy sal nie deur die swaard val nie. Jou lewe sal gespaar word^g omdat jy op my vertrou het,^h sê Jehovah."

40 Jeremia het 'n boodskap van Jehovah ontvang nadat Nebusara'dan,ⁱ die hoof van die wagte, hom uit Rama^j vrygelaat het. Jeremia is in handboeie deur Nebusara'dan soon-toe geneem, en hy was onder al die ballinge* van Jerusalem en van Juda wat na Babilon gedeporteer sou word. **2** Toe het die hoof van die wagte Jeremia geneem en vir hom gesê: "Jehovah jou God het hierdie rampspoed teen hierdie plek voorspel, **3** en Jehovah het dit laat gebeur net soos hy gesê het, omdat julle teen Jehovah gesondig het en sy stem nie ge-

39:13 *Of "die hooftowenaar (hoofsterrevoorspeller)". **40:1** *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

39:5, 11 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **39:8** *Lett. "huis". **39:10** *Of moontlik "wingerde gegee en verpligte diens opgelê". **39:13** *Of "die hoofhofbeampte".

hoorsaam het nie. Daarom het dit met julle gebeur.^a **4** Vandag haal ek die boeie van jou hande af. As dit goed is in jou oë om saam met my na Babilon te kom, kom, en ek sal vir jou sorg. Maar as jy nie saam met my na Babilon wil kom nie, moenie kom nie. Die hele land is voor jou. Gaan net waar jy wil.”^b

5 En voordat Jeremia teruggedraai het, het Nebusara'dan gesê: “Gaan terug na Gedal'ja,^c die seun van Ahi'kam,^d die seun van Safan,^e wat die koning van Babilon oor die stede van Juda aangestel het, en bly by hom onder die volk, of gaan net waar jy wil.”

Die hoof van die wagte het toe vir hom kos en 'n geskenk gegee en hom laat gaan. **6** Toe het Jeremia na Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, in Mispa^f gegaan en by hom gaan bly onder die volk wat in die land oorgebly het.

7 Met verloop van tyd het al die hoofde van die leërmag wat saam met hulle manne in die veld was, gehoor dat die koning van Babilon Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, oor die land aangestel het en dat hy hom aangestel het oor die arm mense van die land, die mans, vrouens en kinders wat nie na Babilon gedeporteer is nie.^g **8** Toe het hulle na Gedal'ja toe gegaan in Mispa.^h Hulle name was Is'mael,ⁱ die seun van Netan'ja, Joha'nani^j en Jo'natan, die seuns van Kare'ag, Sera'ja, die seun van Tan'humet, die seuns van Efaï, die Netofatiet, en Jesan'ja,^k die seun van die Maāgatiet. Hulle het saam met hulle manne daar aangekom. **9** Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, die seun van Safan, het hulle en hulle manne met 'n eed verseker: “Moenie bang wees om die Gal-

HFST. 40

a Jer 50:7

b Jer 39:11, 12

c 2Kn 25:22
Jer 39:13, 14
Jer 41:2d 2Kn 22:12, 13
Jer 26:24

e 2Kn 22:8

f Rig 20:1
1Kn 15:22g 2Kn 25:22
Jer 39:10

h 2Kn 25:23

i 2Kn 25:25

j Jer 41:11, 16
Jer 43:2

k Jer 42:1, 2

Tweede kol.

a 2Kn 25:24
Jer 27:11

b Jer 39:10

c Jer 41:10

d Jer 41:2

deërs te dien nie. Woon in die land en dien die koning van Babilon, en dit sal goed gaan met julle.^a **10** Ek sal in Mispa bly om julle te verteenwoordig* voor die Galdeërs wat na ons toe kom. Maar julle moet wyn, somervrugte en olie bymekaarmaak en dit in julle houers bêre, en julle moet in die stede woon wat julle oorgeneem het.”^b

11 En al die Jode wat in Moab, Ammon en Edom was, sowel as dié wat in al die ander lande was, het ook gehoor dat die koning van Babilon 'n oorblyfsel in Juda laat agterbly het en dat hy Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, die seun van Safan, oor hulle aangestel het. **12** Al die Jode het dus begin terugkeer uit al die plekke waarheen hulle verstrooi was, en hulle het na die land van Juda gekom, na Gedal'ja in Mispa. En hulle het 'n baie groot hoeveelheid wyn en somervrugte bymekaargemaak.

13 Joha'nani, die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag wat in die veld was, het na Gedal'ja toe gekom in Mispa. **14** Hulle het vir hom gevra: “Weet u nie dat Ba'älis, die koning van die Ammoniete,^c Is'mael, die seun van Netan'ja, gestuur het om u dood te maak nie?”^d Maar Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, het hulle nie geglo nie.

15 Toe het Joha'nani, die seun van Kare'ag, in die geheim vir Gedal'ja in Mispa gesê: “Ek wil Is'mael, die seun van Netan'ja, gaan doodmaak, en niemand sal daarvan weet nie. Hoekom moet hy u doodmaak? Hoekom moet almal in Juda wat by u bymekaargekom het, verstrooi word, en hoekom moet die oorblyfsel van Juda verdwyn?”

40:10 * Lett. “om te staan”.

16 Maar Gedal'ja,^a die seun van Ahi'kam, het vir Joha'nan, die seun van Kare'ag, gesê: "Moet dit nie doen nie, want wat jy oor Is'mael sê, is 'n leuen."

41 In die sewende maand het Is'mael,^b die seun van Netan'ja, die seun van Elisa'ma, wat van die koninklike geslagslyn* was en een van die belangrikste manne van die koning was, saam met tien manne na Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, in Mispa gegaan.^c Terwyl hulle in Mispa saam geëet het, **2** het Is'mael, die seun van Netan'ja, en die tien manne wat by hom was, opgestaan en Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, die seun van Safan, met die swaard doodgemaak. Hy het dus die een doodgemaak wat die koning van Babilon oor die land aangestel het. **3** Is'mael het ook al die Jode wat by Gedal'ja in Mispa was, sowel as die Galdese soldate wat daar was, doodgemaak.

4 Op die tweede dag nadat Gedal'ja doodgemaak is, nog voordat enigiemand daarvan geweet het, **5** het daar 80 manne uit Sigem,^d uit Silo^e en uit Samari'a^f gekom. Hulle baarde was afgeskeer, hulle klere was stukkend gesny,^g en hulle het graanoffers en wierook^h in hulle hande gehad om na die huis van Jehovah te bring. **6** Toe het Is'mael, die seun van Netan'ja, uit Mispa gegaan om hulle te ontmoet, en hy het gehuil terwyl hy geloop het. Toe hy by hulle kom, het hy vir hulle gesê: "Kom na Gedal'ja, die seun van Ahi'kam." **7** Maar toe hulle in die stad kom, het Is'mael, die seun van Netan'ja, en sy manne hulle doodgemaak en hulle in die reënput gegooi.

41:1 *Lett. "die saad van die koninkryk".

HFST. 40
a 2Kn 25:22

HFST. 41
b 2Kn 25:23
Jer 40:14

c 2Kn 25:25

d 1Kn 12:1

e Jos 18:1

f 1Kn 16:23, 24

g Le 19:27, 28
De 14:1

h Le 2:1

Tweede kol.

a 1Kn 15:22
2Kr 16:6

b Jer 40:12

c Jer 40:7

d Jer 40:14

e Jer 40:13
Jer 43:2

f Jer 40:6

8 Maar daar was tien manne onder hulle wat vir Is'mael gesê het: "Moet ons nie doodmaak nie, want ons het baie koring, gars, olie en heuning wat in die veld weggesteek is." Toe het hy hulle nie saam met hulle broers doodgemaak nie. **9** En Is'mael het al die lyke van die manne wat hy doodgemaak het, in 'n groot reënput gegooi, die een wat koning Asa gemaak het toe koning Baäsa van Israel hom gedreig het.^a Dit was die reënput wat Is'mael, die seun van Netan'ja, gevul het met die manne wat doodgemaak is.

10 Is'mael het toe die res van die mense in Mispa^b gevange geneem, insluitende die dogters van die koning en al die mense wat in Mispa oorgebly het, wat Nebusara'dan, die hoof van die wagte, aan Gedal'ja,^c die seun van Ahi'kam, toevertrou het. Is'mael, die seun van Netan'ja, het hulle gevange geneem en vertrek om na die Ammoniete^d oor te gaan.

11 Toe Joha'nan,^e die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag wat by hom was, gehoor het van al die goddelose dinge wat Is'mael, die seun van Netan'ja, gedoen het, **12** het hulle al die manne geneem en gegaan om teen Is'mael, die seun van Netan'ja, te veg, en hulle het hom by die groot waters* in Gi'beon gevind.

13 Al die mense wat by Is'mael was, het baie bly geword toe hulle Joha'nan, die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag by hom sien. **14** Toe het al die mense wat Is'mael in Mispa^f gevange geneem het, omgedraai en saam met Joha'nan, die seun van Kare'ag, teruggegaan. **15** Maar Is'mael, die seun van Netan'ja, en agt van sy man-

41:12 *Of moontlik "groot poel".

ne het van Joha'nan weggekrom en na die Ammoniete gegaan.

16 Joha'nan, die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag wat by hom was, het toe die res van die mense van Mispa saam met hulle geneem, dié wat hulle van Is'mael, die seun van Netan'ja, gered het nadat hy Gedal'ja,^a die seun van Ahi'kam, doodgemaak het. Hulle het die manne, die soldate, die vrouens, die kinders en die hof-beamptes uit Gi'beon teruggebring. **17** Toe het hulle in die verblyfplek van Kimham, langs Betlehem,^b gaan bly omdat hulle Egipte toe wou gaan.^c **18** as gevolg van die Galdeërs. Want hulle het vir hulle bang geword omdat Is'mael, die seun van Netan'ja, vir Gedal'ja, die seun van Ahi'kam, wat die koning van Babilon oor die land aangestel het, doodgemaak het.^d

42 Toe het al die hoofde van die leërmag en Joha'nan,^e die seun van Kare'ag, Jesan'ja, die seun van Hosa'ja, en die hele volk, van die kleinste tot die grootste, nader gekom **2** en vir die profeet Jeremia gesê: "Hoor asseblief ons versoek, en bid vir ons tot Jehovah u God vir die hele groep mense wat oorgebly het, want soos u kan sien, het daar van die baie mense min oorgebly.^f **3** Mag Jehovah u God vir ons sê watter weg ons moet volg en wat ons moet doen."

4 Die profeet Jeremia het vir hulle gesê: "Goed so. Ek sal tot Jehovah julle God bid net soos julle gevra het, en elke woord wat Jehovah julle antwoord, sal ek julle vertel. Ek sal nie 'n enkele woord vir julle wegsteek nie."

5 Hulle het toe vir Jeremia gesê: "Mag Jehovah 'n betroubare en getroue getuie teen ons

HFST. 41

a Jer 41:2

b Ge 35:19

c 2Kn 25:26

Jer 42:14

Jer 43:7

d Jer 41:2

HFST. 42

e Jer 40:13, 14

f De 28:62

Tweede kol.

a Jer 41:16

b De 32:36

Jer 18:7, 8

Mi 7:18

c Jer 41:17, 18

d Eks 34:6

e Jer 43:4, 7

wees as ons nie presies doen wat Jehovah u God ons deur middel van u bevel nie. **6** Of dit nou goed of sleg is, ons sal die stem van Jehovah ons God, na wie toe ons u stuur, gehoorzaam, sodat dit met ons goed kan gaan omdat ons die stem van Jehovah ons God gehoorzaam."

7 Tien dae later het Jeremia 'n boodskap van Jehovah ontvang. **8** Toe het hy Joha'nan, die seun van Kare'ag, laat roep, sowel as al die hoofde van die leërmag wat by hom was en die hele volk, van die kleinste tot die grootste.^a **9** Hy het vir hulle gesê: "Dit is wat Jehovah, die God van Israel, sê, na wie julle my gestuur het sodat ek hom namens julle kan vra om genade aan julle te betoon: **10** 'As julle in hierdie land bly, sal ek julle opbou en nie afbreek nie, en ek sal julle plant en nie uitruk nie, want ek sal spyt* voel oor die rampspoed wat ek oor julle gebring het.^b **11** Moenie bang wees vir die koning van Babilon, vir wie julle so bang is nie.'^c

"Moenie vir hom bang wees nie,' sê Jehovah, 'want ek is met julle, om julle te red en om julle uit sy hand te bevry. **12** En ek sal genade aan julle betoon,^d en hy sal genade aan julle betoon, en hy sal julle na julle eie land terugbring.

13 "Maar as julle sê: "Nee, ons sal nie in hierdie land bly nie!" en as julle ongehoorsaam is aan die stem van Jehovah julle God **14** en sê: "Nee, ons sal eerder na Egipte gaan,^e waar ons nie oorlog sal sien of die geluid van die horing sal hoor of honger sal ly nie, en ons sal daar woon," **15** hoor dan die woord van Jehovah, o oorblyfsel van Juda. Dit is wat Jehovah

42:10 *Of "bedroef".

van die leërmagte, die God van Israel, sê: "As julle vasbeslote is om na Egipte toe te gaan, en as julle daar gaan woon," **16** dan sal die einste swaard waarvoor julle bang is, julle daar in Egipte inhaal, en die einste hongersnood waarvoor julle bang is, sal julle na Egipte agtervolg, en daar sal julle sterf.^a **17** En al die manne wat vasbeslote is om Egipte toe te gaan om daar te gaan woon, sal deur die swaard, hongersnood en vreeslike siektes sterf. Nie een van hulle sal bly lewe of wegkom van die rampspoed wat ek oor hulle sal bring nie."

18 "Want dít is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Net soos my groot woede oor die inwoners van Jerusalem uitgestort is,^b so sal my woede oor julle uitgestort word as julle Egipte toe gaan, en julle sal 'n vloek, iets skokkends, 'n vervloeking en 'n bespotting word,^c en julle sal hierdie plek nooit weer sien nie.'

19 "Jehovah het teen julle gespreek, o oorblyfsel van Juda. Moenie Egipte toe gaan nie. Julle moet vir seker weet dat ek julle vandag gewaarsku het **20** dat julle sal sterf as gevolg van julle oortreding. Want julle het my na Jehovah julle God toe gestuur en gesê: 'Bid vir ons tot Jehovah ons God en sê vir ons alles wat Jehovah ons God sê, en ons sal dit doen.'^d **21** En ek het julle vandag alles vertel, maar julle sal nie gehoorsaam wees aan die stem van Jehovah julle God of aan enigiets wat hy my gestuur het om vir julle te sê nie.^e **22** Daarom kan julle seker wees dat julle deur die swaard, hongersnood en vreeslike siektes sal

42:15 *Of "n tyd lank daar gaan woon".

HFST. 42

a De 28:45
Jer 44:12-14
Jer 44:27, 28

b 2Kn 25:8-10
2Kr 34:24, 25
2Kr 36:16, 17
Klg 2:4

c Jer 29:18

d Jer 42:1, 2

e 2Kr 24:19
Ne 9:26
Sag 7:11

Tweede kol.

a Jer 43:10, 11

HFST. 43

b Jer 41:16
Jer 42:1-3

c Jer 36:4
Jer 45:1

d Jer 38:4, 6

e Jer 40:11, 12

f Jer 39:10

g 2Kn 25:22

h 2Kr 34:20, 21
Jer 26:24

i 2Kn 22:8

j Jer 2:14, 16
Jer 44:1
Ese 30:4, 18

sterf in die plek waar julle wil gaan woon."^a

43 Nadat Jeremia vir die hele volk al hierdie woorde van Jehovah hulle God gesê het, elke lieue woord wat Jehovah hulle God hom gestuur het om vir hulle te sê, **2** het Asar'ja, die seun van Hosa'ja, Joha'nan,^b die seun van Kare'ag, en al die vermete* manne vir Jeremia gesê: "Jy lieg! Jehovah ons God het jou nie gestuur om te sê: 'Moenie na Egipte toe gaan om daar te gaan woon nie.' **3** Maar Barug,^c die seun van Neri'a, steek jou teen ons op sodat ons aan die Galdeërs oorgelewer kan word en doodgemaak of in ballingskap na Babilon weggeneem kan word."^d

4 Joha'nan, die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag en die hele volk het dus nie Jehovah se bevel gehoorsaam om in die land van Juda te bly nie. **5** Joha'nan, die seun van Kare'ag, en al die hoofde van die leërmag het eerder die hele oorblyfsel van Juda saam met hulle geneem, dit wil sê die oorblyfsel wat weer in die land van Juda kom woon het nadat hulle teruggekeer het uit al die nasies waarheen hulle verstrooi is.^e **6** Hulle het die manne, die vroue, die kinders en die dogters van die koning geneem, en almal wat Nebusara'dan,^f die hoof van die wagte, laat agterbly het by Gedal'ja,^g die seun van Ahi'kam,^h die seun van Safan,ⁱ sowel as die profeet Jeremia en Barug, die seun van Neri'a. **7** Hulle het na Egipte gegaan, want hulle het nie die stem van Jehovah gehoorsaam nie, en hulle het tot by Tagpan'hes^j gegaan.

43:2 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

8 Toe het Jehovah in Tagpan'hes met Jeremia gepraat en gesê: **9** "Neem groot klippe in jou hand, en steek dit weg in die messelklei in die baksteen-terras by die ingang van die huis van Farao in Tagpan'hes, terwyl die Joodse manne sien wat jy doen. **10** Sê dan vir hulle: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: "Ek sal my kneg^a Nebukadne'sar,* die koning van Babilon, laat kom, en ek sal sy troon neersit bo-op hierdie klippe wat ek weggesteek het, en hy sal sy koninklike tent daarvoor uitsprei.^b **11** En hy sal kom en Egipte aanval.^c Almal wat deur die dodelike plaag moet sterf, sal deur die dodelike plaag sterf, en almal wat in gevangenskap moet gaan, sal in gevangenskap gaan, en almal wat deur die swaard moet sterf, sal deur die swaard sterf.^d **12** Ek sal die tempels van die gode van Egipte aan die brand steek,^e en hy sal hulle verbrand en hulle as gevangenes wegneem. Hy sal Egipte om hom draai net soos 'n herder hom in sy kleed toedraai, en hy sal in vrede* daarvandaan weggaan. **13** En hy sal die pilare* van Bet-Semes^f in Egipte in stukke breek, en hy sal die tempels van die gode van Egipte verbrand.'""

44 Jeremia het die volgende boodskap ontvang vir al die Jode wat in Egipte woon,^f naamlik dié wat in Migdol,^g Tagpan'hes,^h Nof*ⁱ en die land Patros^j woon: **2** "Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Julle het al die

43:10 *Lett. "Nebukadnesar", 'n wisselvorm van die naam. **43:12** *Of "sonder dat hy seergekry het". **43:13** *Of "obeliske". ^aOf "huis (tempel) van die son", d.w.s. Heliopolis. **44:1** *Of "Memfis".

HFST. 43

a Jer 25:9
Jer 27:6
Ese 29:19, 20

b Da 2:21
Da 5:18

c Jer 25:17, 19
Jer 46:13
Ese 29:19
Ese 30:4, 18

d Jer 44:13
Ese 5:12

e Jer 46:25

HFST. 44

f Jer 43:4, 7

g Ese 29:10
Ese 30:6

h Ese 30:18

i Jer 46:14
Ese 30:16

j Ese 29:14
Ese 30:14

Tweede kol.

a 2Kn 25:9, 10
Jer 39:8

b Klg 1:1

c Jer 11:17

d De 13:6-9
De 32:17
Jer 19:4

e 2Kr 36:15, 16
Jes 65:2
Jer 7:24-26
Jer 35:15

f Jer 19:13

g Jes 6:11
Jer 39:8

h 1Kn 9:7
Jer 24:9
Jer 42:18

i 2Kn 21:19, 20
2Kn 24:8, 9

j 1Kn 11:1-3

rampspoed gesien wat ek oor Jerusalem^a en oor al die stede van Juda gebring het, en vandag is hulle verwoes, sonder 'n enkele inwoner.^b **3** Dit is as gevolg van die goddelose dinge wat hulle gedoen het om my aanstoot te gee deur offerandes te bring^c en deur ander gode te dien wat hulle nie geken het nie, nie julle of julle voorvaders nie.^d **4** Ek het al my knegte, die profete, na julle toe bly stuur. Ek het hulle keer op keer gestuur* en gesê: "Moet asseblief nie hierdie afskuwelike ding doen wat ek haat nie."^e **5** Maar hulle het nie geluister nie en het geweier om hulle goddelose weë te los en het aangehou om offerandes aan ander gode te bring.^f **6** Daarom is my groot woede uitgestort en het dit in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gebrand, en hulle is verwoes en het 'n verlate plek geword, soos vandag die geval is.^g

7 "En nou sê Jehovah, die God van die leërmagte, die God van Israel: 'Hoekom bring julle groot rampspoed oor julle-self, wat elke man en vrou, kind en baba uit Juda sal uitroei en wat julle sonder 'n oorblyfsel sal agterlaat? **8** Hoekom gee julle my aanstoot met die werke van julle hande deur aan ander gode offerandes te bring in Egipte waar julle gaan woon het? Julle sal uitgeroei word en sal 'n vloek en 'n bespotting onder al die nasies van die aarde word.^h **9** Het julle die goddelose dae van julle voorvaders, die goddelose dae van die konings van Judaⁱ en die goddelose dae van hulle vrouens/vergeet, sowel as julle eie goddelose dae en die goddelose

44:4 *Lett. "vroeg opgestaan en gestuur".

dade van julle vrouens,^a die daade wat in die land van Juda en op die strate van Jerusalem gedoen is? **10** Tot vandag toe het hulle hulle nie verneder nie,^{*} en hulle het nie bang geword nie,^b en hulle het ook nie my wet en my wetsbepalings gevolg wat ek vir julle en julle voorvaders gegee het nie.^c

11 “Daarom sê Jehovah van die leërmagte, die God van Israel: ‘Ek is vasbeslote om rampspoed oor julle te bring, om die hele Juda te vernietig. **12** En ek sal die oorblyfsel van Juda neem wat vasbeslote was om in Egipte te gaan woon, en hulle sal almal in Egipte^d aan hulle einde kom. Hulle sal met die swaard doodgemaak word en deur die hongersnood sterf, van die kleinste tot die grootste. Ja, hulle sal met die swaard doodgemaak word en deur die hongersnood sterf. En hulle sal ’n vloek word, iets skokkends, ’n vervloeking en ’n bespotting.^e **13** Ek sal dié straf wat in Egipte woon, net soos ek Jerusalem met die swaard, hongersnood en vreeslike siektes gestraf het.^f **14** En die oorblyfsel van Juda wat in Egipte gaan woon het, sal nie ontsnap of bly lewe om na die land van Juda terug te gaan nie. Hulle sal ’n sterk begeerte hê om terug te gaan en daar te woon, maar hulle sal nie teruggaan nie, behalwe ’n paar wat sal ontsnap.’”

15 Al die manne wat gewees het dat hulle vrouens offerandes aan ander gode gebring het en al die vrouens wat daar gestaan het, wat ’n groot groep uitgemaak het, en die hele volk wat in Egipte,^g in Patros,^h gewoon het, het Jeremia geantwoord en gesê: **16** “Ons sal

44:10 *Of “het hulle nie verpletter gevoel nie”.

HFST. 44

a Jer 44:19

b Jer 36:22-24

c De 6:1, 2

d Ese 30:13

e Jer 42:17, 18

f Jer 21:9
Jer 42:22
Jer 43:11

g Jer 43:4, 7

h Jer 44:1

Tweede kol.

a Jer 7:18

b Jer 11:13
Ese 16:24, 25

nie luister na wat jy in die naam van Jehovah vir ons gesê het nie. **17** Nee, ons sal beslis elke woord uitvoer wat ons^{*} gesê het: Ons sal offerandes aan die Koningin van die Hemel[#] bring en drankoffers vir haar uitgooi,^a net soos ons voorvaders, ons konings en ons leiers in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gedoen het, toe ons met brood versadig was en dit met ons goed gegaan het, toe ons geen rampspoed gesien het nie. **18** Vandat ons opgehou het om offerandes aan die Koningin van die Hemel[#] te bring en vir haar drankoffers uit te gooi, het ons alles kortgekom en het ons deur die swaard en die hongersnood gesterf.”

19 Die vrouens het bygevoeg: “En toe ons offerandes aan die Koningin van die Hemel[#] gebring het en vir haar drankoffers uitgegooi het, het ons mos ons mans se toestemming gehad om offerkoeke in die vorm van haar beeld te maak en drankoffers vir haar uit te gooi.”

20 Toe het Jeremia vir die hele volk, vir die manne en hulle vrouens en vir die hele volk wat met hom gepraat het, gesê: **21** “Jehovah het gedink aan die offerandes wat julle, julle voorvaders, julle konings, julle leiers en die volk van die land in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gebring het,^b en dit het in sy hart opgekom! **22** Uiteindelik kon Jehovah julle goddelose gewoontes en die afskuwelike dinge wat julle gedoen het, nie meer verdra nie, en julle land het ’n verwoeste plek geword, iets skokkends en ’n vloek, sonder ’n enkele inwoner, soos

44:17 *Lett. “ons mond”. **44:17-19**

[#]Die titel van ’n godin wat deur afvallige Israëliete aanbid is, moontlik ’n vrugbaarheidsgodin.

vandag die geval is.^a **23** Hierdie rampspoed het oor julle gekom, soos vandag gesien kan word, omdat julle hierdie offerandes gebring het en omdat julle teen Jehovah gesondig het deur nie die stem van Jehovah te gehoorzaam en sy wette, sy wetsbepalings en sy herinneringe te volg nie.”^b

24 Jeremia het verder vir die hele volk en vir al die vrouens gesê: “Hoor die woord van Jehovah, julle almal wat van Juda kom en wat in Egipte is. **25** Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: ‘Wat julle en julle vrouens met julle mond gesê het, het julle met julle hande uitgevoer, want julle het gesê: “Ons sal beslis ons geloftes nakom om vir die Koningin van die Hemel* offerandes te bring en vir haar drankoffers uit te gooi.”^c Vrouens, julle sal julle geloftes beslis vervul en dit nakom.’

26 “Daarom, hoor die woord van Jehovah, almal van julle wat van Juda kom en wat in Egipte woon: “Ek sweer by my eie groot naam,” sê Jehovah, “dat my naam nie meer in ’n eed gebruik sal word deur enige man van Juda^d in die hele Egipte wat sê: ‘So waar as wat die Soewereine Heer Jehovah lewe!’ nie.^e **27** Nou waak ek oor hulle om rampspoed te bring in plaas van iets goeds.^f Al die manne van Juda wat in Egipte is, sal sterf deur die swaard en deur hongersnood, totdat hulle ophou bestaan.^g **28** Net ’n paar sal van die swaard ontsnap en uit Egipte na die land van Juda terugkeer.^h Dan sal die hele oorblifsel van Juda wat in Egipte kom woon het, weet wie se

44:25 *Die titel van ’n godin wat deur afvallige Israëliete aanbid is, moontlik ’n vrugbaarheidsgodin.

HFST. 44

a 1Kn 9:8, 9
Klg 2:15
Ese 33:29

b 2Kr 36:15, 16
Da 9:11

c Jer 7:18
Jer 44:15, 17

d Ese 20:39

e Jes 48:1, 2
Jer 5:2

f Jer 1:10

g Jer 44:12

h Le 26:44
Jes 27:13
Jer 44:14

Tweede kol.

a 2Kn 25:7
Jer 34:21
Jer 39:5

HFST. 45

b Jer 32:12
Jer 43:3

c Jer 36:4, 32

d Jer 25:1
Jer 36:1

e Jes 5:5
Jer 1:1, 10

f Jes 66:16
Jer 25:17, 26
Sef 3:8

g Jer 21:9
Jer 39:18
Jer 43:6

HFST. 46

h Jer 1:10

i Jer 25:15, 19
Ese 29:2
Ese 32:2

woord waar geword het, myne of hulle s'n!”

29 “‘En ek gee julle die volgende teken,’ sê Jehovah, ‘dat ek julle in hierdie plek sal straf, sodat julle kan weet dat my belofte van rampspoed teen julle beslis waar sal word. **30** Dit is wat Jehovah sê: “Ek gee farao Hofra, die koning van Egipte, in die hand van sy vyande en van dié wat hom wil doodmaak, net soos ek koning Sedeki’a van Juda in die hand van koning Nebukadne’sar* van Babilon gegee het, wat sy vyand was en wat hom wou doodmaak.”^a

45 Die profeet Jeremia het die volgende boodskap vir Barug,^b die seun van Neri’a, gegee toe hy hierdie woorde in ’n boek geskryf het wat Jeremia^c gedikteer het in die vierde jaar van Joja’kim,^d die seun van Josi’a, die koning van Juda:

2 “Dit is wat Jehovah, die God van Israel, oor jou sê, Barug: **3** ‘Jy het gesê: “Dit gaan sleg met my, want Jehovah het hartseer by my pyn gevoeg! Ek is moeg as gevolg van my gekreun, en ek het geen rusplek gevind nie.”

4 “Jy moet vir hom sê: ‘Dit is wat Jehovah sê: “Wat ek opgebou het, breek ek af, en wat ek geplant het, ruk ek uit – die hele land.^e **5** Maar jy soek* groot dinge vir jouself. Hou op om hierdie dinge te soek.”

“Want ek gaan binnekort rampspoed oor alle mense^f bring,’^f sê Jehovah, ‘en waar jy ook al gaan, sal ek jou lewe spaar.”^g

46 Die profeet Jeremia het die volgende boodskap van Jehovah ontvang oor die nasies:^h **2** Aan Egipte,ⁱ in

44:30 *Lett. “Nebukadresar”, ’n wisselvorm van die naam. **45:5** *Of “verwag”. ^aLett. “vlees”.

verband met die leërmag van farao Nego,^a die koning van Egipte, wat in die vierde jaar van Joja'kim,^b die seun van Josi'a, die koning van Juda, langs die Eufraatrivier by Kar'kemis deur koning Nebukadne'sar* van Babilon verslaan is:

- 3** "Berei julle klein skilde* en julle groot skilde voor, en gaan uit na die geveg.
- 4** Span die perde in en klim op, o ruiters. Neem julle posisies in en sit julle helms op. Vryf die spiese blink en trek julle pantsers* aan.
- 5** 'Hoekom lyk hulle vir my so bang? Hulle trek terug, hulle vegters word verslaan. Hulle het paniekbevange gevlug, hulle vegters het nie omgedraai nie. Oral is daar vrees, sê Jehovah.
- 6** 'Die vinniges kan nie vlug nie, en die vegters kan nie ontsnap nie. In die noorde, by die oewer van die Eufraatrivier, het hulle gestruikel en geval.'^c
- 7** Wie is dit wat soos die Nylrivier opkom, soos die onstuimige water van riviere?
- 8** Egipte kom op net soos die Nylrivier,^d soos die onstuimige water van riviere, en sê: 'Ek sal uitgaan en die aarde bedek. Ek sal die stad en sy inwoners vernietig.'

46:2, 13 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **46:3** *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. **46:4** *'n Pantser is 'n beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is.

HFST. 46
a 2Kr 35:20

b 2Kn 23:36
Jer 25:1
Jer 36:1

c 2Kn 24:7

d Ese 29:3
Ese 32:2

Tweede kol.

a Ese 27:2, 10

b Ge 10:6, 13
Ese 30:4, 5

c Jes 66:19

d 2Kn 24:7

e Ge 37:25
Jer 8:22

f Ese 30:21

g Ese 32:9

h Jer 43:10
Ese 29:19
Ese 30:10

i Jer 44:1
Ese 29:10
Ese 30:6

j Jer 43:4, 7
Ese 30:18

- 9** Trek op, o perde!
Jaag, o strydwaens!
Laat die vegters uitgaan,
Kus en Put, wat die skild hanteer,^a
en die Ludiate,^b wat die boog hanteer en span.*^c

10 "Daardie dag behoort aan die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, die dag van wraak, waarop hy wraak sal neem op sy vyande. En die swaard sal verslind en hom versadig en hom vol drink aan hulle bloed, want die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, het 'n offerande* in die land van die noorde by die Eufraatrivier.^d

- 11** Gaan op na Gi'lead om balsem te gaan haal,^e o maagdelike dogter van Egipte. Jy het verniet baie geneesmiddels bymekaargemaak, want daar is geen genesing vir jou nie.^f
- 12** Die nasies het van jou skande gehoor,^g en jou geskree het die land gevul. Want die een vegter struikel oor die ander, en hulle al twee val saam neer."

13 Die profeet Jeremia het die volgende boodskap van Jehovah ontvang oor die koms van koning Nebukadne'sar* van Babilon, om Egipte te verslaan:^h

- 14** "Vertel dit in Egipte, verkondig dit in Migdol.ⁱ Verkondig dit in Nof* en in Tagpan'hes.^j Sê: 'Neem julle posisies in en berei julle voor, want 'n swaard sal reg rondom julle verslind.

46:9 *Lett. "trap". **46:10** *Of "slagting". **46:14** *Of "Memfis".

- 15** Hoekom is jou magtige manne weggespoel? Hulle het nie vasgestaan nie, want Jehovah het hulle omgestoot.
- 16** Hulle struikel en val in groot getalle. Hulle sê vir mekaar: "Staan op! Laat ons terugkeer na ons volk en na ons tuisland as gevolg van die wrede swaard."
- 17** Daar het hulle uitgeroep: 'Farao die koning van Egipte is net 'n grootprater wat die geleentheid* deur sy vingers laat glip het.'^a
- 18** 'So waar as wat ek lewe,' sê die Koning, wie se naam Jehovah van die leërmagte is, 'hy* sal inkom soos Tabor^b onder die berge en soos Karmel^c by die see.
- 19** Kry vir jou goed bymekaar vir ballingskap, o dogter wat in Egipte woon. Want Nof* sal iets skokkends word. Dit sal aan die brand gesteek word[#] en sal sonder 'n enkele inwoner wees.^d
- 20** Egipte is soos 'n mooi jong koei, maar steekvlieë sal uit die noorde teen haar kom.
- 21** Selfs haar huursoldate is soos vetgemaakte kalwers, maar hulle het ook teruggedraai en saam gevlug. Hulle kon nie vasstaan nie,^e

46:17 *Lett. "vasgestelde tyd". **46:18** *D.w.s. Egipte se oorwinnaar. **46:19** *Of "Memfis". [#]Of moontlik "Dit sal 'n wildernis word".

HFST. 46

a Ese 29:3

b Jos 19:17, 22
Rig 4:6
Ps 89:12

c 1Kn 18:42

d Ese 32:15

e Jer 46:5, 15

Tweede kol.

a Ese 30:10

b Na 3:8

c Ese 30:14

d Eks 12:12
Jes 19:1
Jer 43:12, 13

e Jer 17:5
Jer 42:14

f Jer 43:10, 11
Ese 32:11

g Ese 29:13, 14

h Jes 41:13
Jes 43:1, 2
Jes 44:2

i Jes 11:11
Jer 50:19
Ese 39:27
Am 9:14
Sef 3:20

j Jer 23:3, 6
Jer 30:10, 11

want die dag van hulle ramspoed het oor hulle gekom, hulle tyd van afrekening.'

- 22** 'Die geluid wat sy maak, is soos dié van 'n seilende slang, want hulle kom met mag en mening agter haar aan, met byle, soos manne wat bome afkap.*
- 23** Hulle sal haar woud afkap,' sê Jehovah, 'al lyk dit ondeurdringbaar. Want daar is meer van hulle as sprinkane, en hulle kan nie getel word nie.
- 24** Die dogter van Egipte sal verneder word. Sy sal aan die volk van die noorde oorgelewer word.'^a
- 25** "Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê: 'Nou rig ek my aandag op Amon^b uit No,^c op Farao, op Egipte, op haar gode^d en op haar konings – ja, op Farao en op almal wat op hom vertrou.'^e
- 26** "“Ek sal hulle oorlewer aan dié wat hulle wil doodmaak, aan koning Nebukadne'sar* van Babilon^f en sy knegte. Maar daarna sal sy bewoon word soos in die verlede,' sê Jehovah.^g
- 27** 'En jy, my kneg Jakob, moenie bang wees nie, en moenie vrees nie, o Israel.^h Want ek sal jou van ver af red, en jou nageslag* uit die land van hulle gevangenskap.ⁱ Jakob sal terugkeer en rus en vrede hê, en daar sal niemand wees wat hulle bang maak nie.'^j
- 46:22** *Of "hout bymekaarmaak". **46:25** *D.w.s. Tebe. **46:26** *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **46:27** *Lett. "saad".

28 Moet dus nie bang wees nie, my kneg Jakob,' sê Jehovah, 'want ek is met jou. Ek sal al die nasies vernietig waarheen ek jou verstrooi het,^a maar ek sal jou nie vernietig nie.^b Ek sal jou in die regte mate dissipliner,^{*c} en ek sal jou beslis nie ongestraf laat bly nie."^d

47 Die profeet Jeremia het die volgende boodskap van Jehovah oor die Filistyne^d ontvang voordat Gasa deur Farao verslaan is. **2** Dit is wat Jehovah sê:

"Water kom uit die noorde. Dit sal 'n stroom vloedwaters word.

En dit sal die land en alles daarin oorstroom, die stad en dié wat daarin woon.

Die mense sal skree, en almal wat in die land woon, sal huil.

3 Wanneer die pa's die gestamp van sy hingste se hoewe hoor, en die geratel van sy strydwaens, en die gedreun van sy wiele, sal hulle nie eers vir hulle kinders omdraai nie, want hulle hande sal swak word

4 omdat die dag wat kom, al die Filistyne sal vernietig.^e

Dit sal elke oorblywende bondgenoot in Tirus^f en Sidon^g vernietig.

Want Jehovah sal die Filistyne vernietig, wat die oorblywendes van die eiland Kaftor^{*h} is.

46:28 *Of "teregwys". 47:4 *D.w.s. Kreta.

HFST. 46

a Jer 25:9

b Jer 5:10
Am 9:8

c Jer 10:24

HFST. 47

d Jer 25:17, 20
Ese 25:15, 16
Am 1:6
Sef 2:4
Sag 9:5, 6

e Jer 25:17, 20
Am 1:8
Sef 2:5

f Ese 26:2
Am 1:9, 10

g Jes 23:1, 4
Jer 25:17, 22
Jer 27:2, 3
Ese 28:21
Jl 3:4

h Ge 10:13, 14
De 2:23

Tweede kol.

a Sef 2:4

b De 14:1
Jer 16:6

c De 32:41

d Ese 25:16

HFST. 48

e Ge 19:36, 37
Jes 15:1

f Nu 32:37, 38

g Jos 13:15, 19
Ese 25:9

h Jes 15:2

i Nu 32:37
Jes 16:8

j Jes 15:5
Jer 48:34

5 Gasa sal bles word.* As'kelon is stilgemaak.^a O oorblyfsel van hulle valleivlakte, hoe lank sal jy jou bly stukkend sny?^b

6 A! Die swaard van Jehovah!^c Wanneer gaan jy ophou? Gaan terug in jou skede. Kom tot rus en wees stil.

7 Hoe kan dit ophou wanneer Jehovah dit 'n bevel gegee het? Teen As'kelon en die seekus^d het hy dit aangestel."

48 Dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, vir Moab^e sê:

"Dit is verby met Nebo,^f want sy is vernietig! Kirjata'im^g is verneder en is ingeneem.

Die veilige skuilplek^{*h} is verneder en verwoes.^h

2 Hulle prys Moab nie meer nie.

In Hesbonⁱ het hulle haar ondergang beplan: 'Kom, laat ons 'n einde maak aan haar as 'n nasie.' O Madmen, jy moet ook stilbly, want die swaard agtervolg jou.

3 Daar is die geluid van 'n geskree uit Horona'im,^j van vernietiging en 'n groot ineenstorting.

4 Moab is afgebreek. Haar kindertjies skree.

5 Mense huil onophoudelik terwyl hulle na Luhit opklim.

En op die pad af na Horona'im hoor hulle uitroep

47:5 *D.w.s., hulle sal hulle koppe skeer omdat hulle treur en skaam kry. 48:1 *Of "veilige hoogte".

van angs as gevolg van die ramp.^a

6 Vlug vir julle lewe!

Julle moet soos 'n jenerew-boom in die wildernis word.

7 Omdat jy op jou werke en op jou skatte vertrou,

sal jy ook ingeneem word. En Kamos^b sal in ballingskap gaan, saam met sy priesters en sy amptenare.

8 Die vernietiger sal in elke stad inkom, en geen stad sal gespaar word nie.^c

Die vallei sal verwoes word, en die vlakke* sal vernietig word, net soos Jehovah gesê het.

9 Rig vir Moab 'n merker op, want sy sal vlug terwyl sy verwoes word, en haar stede sal iets skokkends word, sonder 'n enkele inwoner.^d

10 Vervloek is die een wat traag is om die opdrag van Jehovah uit te voer!

Vervloek is die een wat nie met sy swaard doodmaak nie!

11 Die Moabiete was van jongs af rustig, soos wyn wat op die af-saksels rus.

Hulle is nie van een houër in 'n ander oorgegooi nie, en hulle het nooit in ballingskap gegaan nie.

Daarom het hulle smaak dieselfde gebly en het hulle geur nie verander nie.

12 “Daarom kom die dae,” sê Jehovah, “wanneer ek manne sal stuur om hulle om te keer. Hulle sal hulle omkeer en

48:8 *Of “hoogvlakke”.

HFST. 48

a Jes 15:5

b Nu 21:29
1Kn 11:7

c Ese 25:9

d Sef 2:9

Tweede kol.

a 1Kn 12:28, 29
Ho 10:15
Am 5:5

b Jes 16:6

c Jer 48:8

d Jes 34:2

e Ps 24:8

f Ese 25:11

g Nu 21:30
Jos 13:15, 17
Jes 15:2

h Jer 48:8

i Nu 32:34
De 2:36

j Nu 21:13
Jos 13:8, 9

hulle houers leegmaak, en hulle sal hulle groot kruike stukkend slaan. **13** En die Moabiete sal hulle skaam vir Kamos, net soos die huis van Israel hulle skaam vir Bet-El, waarop hulle vertrou het.^a

14 Hoe durf julle sê: “Ons is magtige vegters wat reg is vir die oorlog?”^b

15 ‘Moab is vernietig, haar stede is binnegeval,^c en hulle beste jong manne is doodgemaak,^d sê die Koning, wie se naam Jehovah van die leer-magte is.^e

16 Die rampspoed oor die Moabiete kom binnekort, en hulle ondergang kom vinnig nader.^f

17 Almal om hulle sal met hulle moet simpatiseer, almal wat hulle naam ken. Sê vir hulle: ‘Kyk hoe is die magtige stok, die pragtige staf, gebreek!’

18 Klim af van jou posisie van heerlikheid en gaan sit terwyl jy dors is,^g o dogter wat in Dibon woon,^g want die vernietiger van Moab het teen jou opgekóm, en hy sal jou versterkte plekke verwoes.^h

19 Gaan staan langs die pad en kyk, inwoner van A'roër.ⁱ

Vra vir die man wat vlug en vir die vrou wat wegkom: ‘Wat het gebeur?’

20 Moab is verneder en is baie bang.

Huil en skree.

Verkondig in Arnon^j dat Moab vernietig is.

48:18 *Of moontlik “op die droë grond”.

21 “Oordeel het gekom oor die vlakke,*^a oor Holon, Jahas^b en Mefa’ät,^c 22 oor Dibon,^d Nebo^e en Bet-Dibлата’im, 23 oor Kirjata’im,^f Bet-Gamul en Bet-Meon,^g 24 oor Ke’rijot^h en Bosra, en oor al die stede van die land Moab, dié wat ver en dié wat naby is.

25 ‘Die krag* van Moab is afgekap, en sy arm is gebreek,’ sê Jehovah.

26 ‘Maak hom dronk,ⁱ want hy het hom groot gehou teen Jehovah.^j Moab rol rond in sy uitbraaksel, en hy is ’n bespotting.

27 Was Israel nie vir jou ’n bespotting nie?^k Is hy onder die we gevind, sodat jy jou kop moet skud en teen hom moet praat?

28 Verlaat die stede en woon op die krans, inwoners van Moab, en word soos ’n duif wat sy nes teen die kante van die kloof maak.”

29 “Ons het gehoor van Moab se trots – hy is baie hoogmoedig – van sy hooghartigheid, sy trots, sy hoogmoed en die verwaandheid van sy hart.”^l

30 “‘Ek ken sy woede,’ sê Jehovah, ‘maar sy leë praatjies sal op niks uitloop nie. Dit sal alles verniet wees.

31 Daarom sal ek oor Moab treur. Ek sal as gevolg van die hele Moab skree, en ek sal vir die manne van Kir-Heres^m huil.

48:21 *Of “hoogvlakte”. 48:25 *Lett. “horing”.

HFST. 48

a Sef 2:9

b Nu 21:23
Jes 15:4

c Jos 13:15, 18

d Nu 32:34

e Nu 32:3, 4

f Nu 32:37
Jer 48:1

g Nu 32:37, 38
Jos 13:15, 17
Ese 25:9

h Am 2:2

i Jer 25:15, 16

j Jer 48:42

k Klq 2:15
Sef 2:8

l Jes 16:6
Jes 25:10, 11
Sef 2:9, 10

m 2Kn 3:24, 25
Jes 16:7

Tweede kol.

a Nu 21:32
Nu 32:34, 35
Jos 21:8, 39

b Nu 32:37, 38
Jos 13:15, 19

c Jes 16:8, 9
Jer 48:8

d Jer 25:10

e Jes 16:10

f Nu 21:25
Jos 13:15, 17

g Nu 32:37
Jes 16:9

h Nu 21:23

i Jer 48:2, 3

j Jes 15:4-6

k Jes 16:11

l Jer 16:6

m Le 19:28

32 Ek sal meer vir jou huil as wat daar vir Jaser^a gehuil is, o wingerdstok van Sibma.^b

Jou florerende jong takkies het oor die see gegaan. Tot by die see, tot by Jaser, het hulle gestrek.

Op jou somervrugte en jou druiewe-oes het die vernietiger toegesak.^c

33 Blydskap en vreugde is uit die vrugteboord verwyder, asook uit die land Moab.^d Ek het die wyn laat ophou vloei uit die wynpers. Niemand sal met uitroep van vreugde trap nie. Dit sal ’n ander soort uitroep wees.”^e

34 “‘Daar is ’n geskree van Hesbon^f tot by Elea’le.^g Hulle stem word gehoor tot by Jahas,^h van Soar tot by Horona’im,ⁱ tot by Eg’lat-Selisi’a. Selfs die water van Nimrim sal leegloop.^j

35 Ek sal in Moab ’n einde maak,’ sê Jehovah, ‘aan die een wat ’n offer op die offerhoogte bring en die een wat vir sy god offerandes bring.

36 Daarom sal my hart treur* oor Moab, soos ’n fluit,^{kk} en my hart sal treur* oor die manne van Kir-Heres, soos ’n fluit.^{ff}

Want die rykdom wat hy voortgebring het, sal verdwyn.

37 Want elke kop is kaal geskeer,^l en elke baard is afgeskeer. Daar is snye op al die hande,^m

48:36 *Of “onstuimig wees”. ^{ff}D.w.s. ’n fluit waarmee ’n treurlied by ’n begrafnis gespeel word.

- en daar is saklinne om hulle heupe!"^a
- 38** "Op al die dakke van Moab en op al haar openbare pleine is daar niks behalwe 'n gehuil nie. Want ek het Moab gebreek soos 'n houer wat weggegooi is,' sê Jehovah.
- 39** 'Kyk hoe bang is sy! Huil! Hoe het Moab tog sy rug in skaamte gedraai! Moab het 'n bespotting geword, iets skrikwekkends vir almal om hom.'"
- 40** "Want dít is wat Jehovah sê: 'Net soos 'n arend wat afduik,^b sal hy sy vlerke oor Moab uitsprei.^c
- 41** Die stede sal ingeneem word, en haar vestings sal verower word. Op daardie dag sal die hart van Moab se vegters soos die hart van 'n vrou wees wat geboorte gee.'"
- 42** "'En Moab sal vernietig word en sal nie meer 'n volk wees nie,^d want dit is teen Jehovah dat hy hom groot gehou het.'^e
- 43** Verskrikking en die vanggat en die strik is voor jou, o inwoner van Moab,' sê Jehovah.
- 44** 'Elkeen wat vir die verskrikking vlug, sal in die vanggat val, en elkeen wat uit die vanggat klim, sal in die strik gevang word.' 'Want ek sal oor Moab die jaar van hulle straf bring,' sê Jehovah.
- 45** 'In die skaduwee van Hesbon staan die vlugtelinge kragteloos.

HFST. 48

a Ge 37:34
Jes 15:2, 3b Klg 4:19
Hab 1:8

c Jer 49:22

d Jer 30:11

e Jer 48:29

Tweede kol.

a Nu 21:26, 28

b Nu 24:17
Am 2:2c Nu 21:29
1Kn 11:7

d Jer 48:7

e Ese 25:11

HFST. 49

f Ge 19:36, 38
De 2:19
2Kr 20:1g 1Kn 11:5
Sef 1:4, 5

h Am 1:13

i De 3:11
Jos 13:24, 25
Ese 25:5
Am 1:14

j Ese 21:19, 20

k Jes 14:2
Jer 50:19
Sef 2:9

Want 'n vuur sal uit Hesbon kom, en 'n vlam vanuit Sihon.^a Dit sal die voorkop van Moab verteer, en die skedel van die gewelddadige vegters.^b

- 46** 'Dit is verby met jou, o Moab! Die volk van Kamos^c is vernietig. Want jou seuns is gevange geneem, en jou dogters het in ballingskap gegaan.^d
- 47** Maar ek sal die gevangenes van Moab aan die einde van die dae versamel,' sê Jehovah. 'Hier eindig die oordeel oor Moab.'"^e

49 Dít is wat Jehovah vir die Ammoniete^f sê: "Het Israel geen kinders nie? Het hy nie 'n erfgenaam nie? Hoekom het Malkam^g Gad in besit geneem?^h En hoekom woon sy volk in Israel se stede?"

- 2** "'Daarom kom die dae,' sê Jehovah, 'wanneer ek die alarmsein van oorlog* teen Rabbaⁱ van die Ammoniete^j sal laat hoor. Sy sal 'n verlate heuvel word, en haar afhanklike^k dorpe sal aan die brand gestee word. En Israel sal dié wat hom in besit geneem het, in besit neem,^k sê Jehovah.
- 3** 'Huil, o Hesbon, want Ai is vernietig! Skree, o afhanklike dorpe van Rabba.

49:2 *Of moontlik "die geluid van die oorlogskreet". ^aOf "omliggende".

Trek saklinne aan.
Huil en swerf rond tussen
die klipkrale,*
want Malkam sal in balling-
skap gaan,
saam met sy priesters en
sy amptenare.^a

4 Hoekom spog jy oor die
valleie,
oor jou vrugbare* vlakke,
o ontroue dogter,
wat op haar skatte vertrou
en wat sê: "Wie sal teen my
kom?"^{***}

5 "Ek bring iets verskrikliks
oor jou,' sê die Soewereine
Heer, Jehovah van die
leërmagte.

'Dit sal kom van almal
om jou.
Julle sal in elke rigting
verstrooi word,
en niemand sal die vlugte-
linge bymekaarmaak nie."^{***}

6 "Maar daarna sal ek die ge-
vangenes van die Ammo-
niete bymekaarmaak,' sê
Jehovah."

7 Dit is wat Jehovah van die
leërmagte vir Edom sê:

"Is daar nie meer enige wys-
heid in Teman^b nie?
Het goeie raad verdwyn on-
der dié wat begrip het?
Het hulle wysheid verrot?

8 Vlug, draai terug!
Gaan woon in die dieptes,
o inwoners van Dedan!^c
Want ek sal rampspoed oor
Esau bring
wanneer die tyd kom om my
aandag op hom te rig.

9 As druiweplukkers na jou
toe kom,
sal hulle nie van die oesoor-
blyfsels agterlaat nie?
As dieuwe in die nag kom,

49:3 *Of "skaapkrale". 49:4 *Lett.
"vloeiende".

HFST. 49

a Am 1:13, 15

b Ge 36:10, 11
Ese 25:13
Am 1:12
Ob 8

c Jes 21:13
Jer 25:17, 23

Tweede kol.

a Ob 5

b Ob 6, 9

c Mal 1:3, 4

d Jer 25:27, 28
Klg 4:21
Ob 16

e Jes 34:6
Jes 63:1
Jer 49:22
Am 1:12

f Ob 18
Mal 1:3

g Ob 1

h Ob 2-4

sal hulle slegs beskadig wat
hulle wil.^a

10 Maar ek sal Esau kaalstroop.
Ek sal sy skuilplekke open-
baar maak,
sodat hy nie kan wegkruip
nie.

Sy kinders en sy broers
en sy bure sal almal
vernietig word,^b
en hy sal nie meer daar
wees nie.^c

11 Verlaat jou weeskinders,
en ek sal hulle lewens
bewaar,
en jou weduwees sal op
my vertrou."

12 Dit is wat Jehovah sê: "As
mense wat nie gevonniss is om
die beker te drink nie, dit wel
moet drink, hoeveel te meer
moet jy gestraf word! Jy sal nie
ongestraf bly nie, want jy moet
dit drink."^d

13 "Want ek het by myself
gesweer," sê Jehovah, "dat Bos-
ra iets skokkends,^e 'n bespot-
ting, 'n verwoesting en 'n vloek
sal word, en al haar stede sal vir
ewig verwoes lê."^f

14 Ek het 'n berig van Jehovah
gehoor.
'n BoodsAPPER is onder die
nasies uitgestuur om te sê:

"Kom bymekaar en gaan
teen haar op,
en maak gereed vir oorlog."^g

15 "Ek het jou klein gemaak
onder die nasies.
Mense sien op jou neer.^h

16 Die vrees wat jy
veroorsaak het
en jou trotse hart het
jou bedrieg,
o jy wat in die skuilplekke
van die krans woon,
wat op die hoogste heuwel
bly.

Al bou jy jou nes hoog
soos 'n arend,

sal ek jou daarvandaan afbring," sê Jehovah.

17 "En Edom sal iets skokkends word.^a Elkeen wat daar verbygaan, sal geskok staar en fluit as gevolg van al haar plaë.

18 Net soos toe Sodom en Gomor'ra en hulle naburige dorpe vernietig is,"^b sê Jehovah, "sal niemand daar bly nie en sal geen mens daar gaan woon nie."^c

19 "Iemand sal soos 'n leeu^d uit die digte bosse langs die Jordaanrivier opkom teen die veilige weivelde, maar ek sal hom skielik van haar af laat vlug. En ek sal die een wat uitgekies is, oor haar aanstel. Want wie is soos ek, en wie sal my uitdaag? Watter herder kan voor my staande bly?^e **20** Hoor dus, o manne, wat Jehovah teen Edom besluit het en wat hy teen die inwoners van Teman^f uitgedink het:

Die kleintjies van die kudde sal beslis weggesleep word.

Hy sal hulle woonplek verlate laat word as gevolg van hulle.^g

21 Wanneer hulle val, sal daar so 'n geraas wees dat die aarde sal bewe.

Daar is 'n geskree!

Die geluid daarvan is tot by die Rooisee^h gehoor.

22 Soos 'n arend sal hy opstyg en afduik,ⁱ en hy sal sy vlerke oor Bosra uitsprei.^j

Op daardie dag sal die hart van die vegters van Edom soos die hart van 'n vrou word wat geboorte gee."

23 'n Boodskap vir Damaskus:^k "Hamat^l en Arpad is verneder, want hulle het 'n slegte berig gehoor. Hulle smelt van vrees.

HFST. 49

a Jer 49:13

b Ge 19:24, 25

c Jes 34:6, 10

d Jer 4:7

e Ps 76:7
Jer 50:44-46
Na 1:6

f Ob 9

g Mal 1:4

h 1Kn 9:26

i Jer 4:13

j Jer 48:40
Jer 49:13

k Jes 17:1
Am 1:3

l Nu 13:21
2Kn 17:24
Sag 9:1, 2

Tweede kol.

a Am 1:4

b Ge 25:13
Jes 42:11
Jes 60:7
Ese 27:21

Daar is onstuimigheid in die see wat nie gekalmeer kan word nie.

24 Damaskus het moed verloor. Sy het omgedraai om te vlug, maar sy het paniekbevange geword.

Angs en pyn het haar oorweldig, soos 'n vrou wat geboorte gee.

25 Hoe is dit dat die stad van lof nie verlate is nie, die stad van vreugde?

26 Want haar jong manne sal op haar openbare pleine val, en al die soldate sal op daardie dag sterf," sê Jehovah van die leërmagte.

27 "Ek sal die muur van Damaskus aan die brand steek, en dit sal die versterkte torings van Ben-Hadad verteer."^a

28 Jehovah sê die volgende oor Kedar^b en die koninkryke van Hasor, wat deur koning Nebukadne'sar* van Babilon verlaan is:

"Staan op, gaan na Kedar, en vernietig die kinders van die Ooste.

29 Hulle tente en hulle kleinvee sal weggeneem word, hulle tentdoeke en al hulle besittings.

Hulle kamele sal weggeneem word, en mense sal vir hulle skree: "Daar is oral vrees!"

30 "Vlug, gaan ver weg! Gaan woon in die dieptes, o inwoners van Hasor," sê Jehovah.

"Want koning Nebukadne'sar* van Babilon het 'n strategie teen julle uitgedink,

49:28, 30 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam.

en hy het 'n plan teen julle beraam."

31 "Staan op, gaan op teen die nasie wat vrede geniet, wat in veiligheid woon!" sê Jehovah.

"Dit het geen deure of grensdelas nie. Hulle woon afgesonderd.

32 Hulle kamele sal afgevat word, sowel as hulle baie vee. Ek sal hulle in alle windrigtings verstrooi, dié wat hulle hare aan die kante van hulle kop knip.^a En ek sal hulle rampspoed uit alle rigtings bring," sê Jehovah.

33 "En Hasor sal 'n lêplek van jakkalse word, 'n plek wat vir ewig verlate sal wees.

Niemand sal daar bly nie, en geen mens sal in haar gaan woon nie."

34 Kort nadat koning Sede-ki'a^b van Juda koning geword het, het die profeet Jeremia die volgende boodskap oor Elam^c van Jehovah ontvang: **35** "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'Ek breek die boog van Elam,^d die bron* van hulle mag. **36** Ek sal die vier winde uit die vier uithoeke van die hemel oor Elam bring, en ek sal sy inwoners in al hierdie windrigtings verstrooi. Daar sal geen nasie wees waarvan die Elamiete nie verstrooi sal word nie.'"

37 "Ek sal die Elamiete baie bang laat word vir hulle vyande en vir dié wat hulle wil doodmaak, en ek sal rampspoed oor hulle bring, my brandende woorde," sê Jehovah. "En ek sal die swaard agter hulle aan stuur totdat ek hulle vernietig het."

49:35 *Lett. "begin".

HFST. 49

a Jer 9:25, 26
Jer 25:17, 23

b 2Kn 24:18

c Ge 10:22
Jes 21:2
Jer 25:17, 25
Ese 32:24
Da 8:2
Han 2:8, 9

d Jes 22:6

Tweede kol.

a Jer 25:17, 25

HFST. 50

b Jes 13:1

c Jer 51:8
Op 14:8

d Jes 46:1
Jer 51:44

e Jes 13:17
Jer 51:11, 48

f Jes 11:12
Jer 3:18
Ho 1:11

g Jer 31:8, 9

h Ho 3:5

i Jes 35:10

38 "Ek sal my troon in Elam^a plaas, en ek sal die koning en die leiers daaruit vernietig," sê Jehovah.

39 "Maar aan die einde van die dae sal ek die gevangenes van Elam bymekaarmaak," sê Jehovah.

50 Jehovah het die volgende boodskap oor Babilon,^b oor die land van die Galdeërs, deur middel van die profeet Jeremia gegee:

2 "Vertel dit onder die nasies en verkondig dit.

Rig 'n teken* op en verkondig dit.

Moet niks wegsteek nie!

Sê: 'Babilon is ingeneem.'^c

Bel is verneder.^d

Mero'dag het baie bang geword.

Babilon se beelde is verneder.

Haar walglike afgode^e het baie bang geword.^f

3 Want 'n nasie het uit die noorde teen haar gekom.^e

Dit maak haar land iets skokkends.

Niemand woon in haar nie.

Mens sowel as dier het gevlug,

en hulle het weggegaan."

4 "In daardie dae en in daardie tyd," sê Jehovah, "sal die Israëliete en die volk van Juda bymekaarkom.^f Hulle sal huil terwyl hulle loop,^g en saam sal hulle die leiding soek van Jehovah hulle God.^h **5** Hulle sal vra hoe om by Sion uit te kom, met hulle gesigte in daardie rigting gedraai,ⁱ en hulle sal sê: 'Kom ons verbind ons aan Jehovah in

50:2 *Of "seinpaal". ^eDie Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui.

'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie.^a **6** My volk het 'n kudde verlore skape geword.^b Hulle herders het hulle laat afdwaal.^c Hulle het hulle na die berge weggelei en hulle oor die berge en oor die heuwels laat rondswerf. Hulle het hulle rusplek vergeet. **7** Almal wat hulle gevind het, het hulle verslind,^d en hulle vyande het gesê: 'Ons is nie skuldig nie, want hulle het teen Jehovah gesondig, teen Jehovah, die woonplek van regverdigheid en die hoop van hulle voorvaders.'"

- 8** "Vlug uit Babilon uit, gaan uit die land van die Galdeërs uit,^e en wees soos die diere wat voor die kudde loop en wat hulle lei.
- 9** Want ek versamel en bring teen Babilon 'n groep groot nasies uit die land van die noorde.^f Hulle sal in gevegsformasie teen haar uitgaan. Van daar af sal sy ingeneem word. Hulle pyle is soos dié van 'n vegter wat ouers van hulle kinders beroof.^g Dit kom nie terug sonder resultate nie.
- 10** Galde'a sal gestroop word.^h Almal wat haar stroop, sal heeltemal versadig word,ⁱ sê Jehovah.
- 11** "Want julle was heeltyd vrolik^j en bly toe julle my erfdeel gestroop het.^k Want julle het bly huppel soos 'n jong koei in die gras, en julle het soos hingste bly runnik.
- 12** Julle ma is verneder.^l

HFST. 50

a Jer 31:31

b Jes 53:6

c Jer 10:21
Jer 23:2
Ese 34:2, 6

d Ps 79:6, 7

e Jes 48:20
Jer 51:6, 45
Sag 2:7
2Kor 6:17
Op 18:2, 4f Jes 21:2
Jer 51:11, 27,
28, 48
Da 5:28, 30

g Jes 13:17, 18

h Jer 25:12
Jer 27:6, 7

i Op 17:16

j Klg 1:21

k Jes 14:4-6
Jes 47:6
Jer 30:16

l Jes 47:8

Tweede kol.

a Jes 13:20, 21

b Sag 1:15

c Jer 25:12

d Jer 51:37

e Jes 13:18
Jer 51:11

f Jer 51:35, 36

g Jer 51:58

h Jer 51:6, 11

i Ps 137:8
Op 18:6

j Jer 51:23

k Jes 13:14
Jer 51:9l Jer 23:1
Jer 50:6
Ese 34:5

m Jer 2:15

n 2Kn 17:6
Jes 8:7

Sy wat aan julle geboorte gegee het, is teleurgestel. Sy is die onbelangrikste van die nasies, 'n waterlose wildernis en 'n woestyn.^a

- 13** As gevolg van die woede van Jehovah sal sy nie bewoon word nie.^b

Sy sal heeltemal verlate word.^c

Elkeen wat by Babilon verbygaan, sal geskok staar en fluit as gevolg van al haar plaë.^d

- 14** Kom aan alle kante in gevegsformasie teen Babilon op,

julle almal wat die boog span.*

Skiet na haar, moet geen pyl spaar nie,^e

want dit is teen Jehovah dat sy gesondig het.^f

- 15** Roep aan alle kante 'n oorlogskreet teen haar uit. Sy het oorgegee.*

Haar pilare het geval, haar mure is afgebreek,^g want dit is die wraak van Jehovah.^h

Neem wraak op haar.

Doen aan haar net soos sy gedoen het.ⁱ

- 16** Roei die saaiër uit Babilon uit,

en die een wat die sekel in die oestyd hanteer.^j

As gevolg van die wrede swaard sal elkeen na sy eie volk terugkeer.

Elkeen sal na sy eie land vlug.^k

- 17** "Die Israeliete is skape wat verstrooi is.^l Leeus het hulle uitmekargejaag.^m Eers het die koning van Assi'rië hulle verslind,ⁿ en toe het koning

50:14 *Lett. "trap". **50:15** *Lett. "haar hand gegee".

Nebukadne'sar* van Babilon aan hulle beendere geknaag.^a

18 Daarom sê Jehovah van die leërmagte, die God van Israel: 'Ek sal met die koning van Babilon en sy land afreken net soos ek met die koning van Assirië afgereken het.^b **19** En ek sal Israel na sy weiveld terugbring,^c en hy sal in Karmel en in Basan wei,^d en op die berge van E'frain^e en van Gi'lead^f sal hy versadig word."

20 "In daardie dae en in daardie tyd," sê Jehovah, "sal daar na Israel se oortreding gesoek word, maar dit sal nie daar wees nie, en die sondes van Juda sal nie gevind word nie, want ek sal dié vergewe wat ek laat oorbly."^g

21 "Gaan op teen die land Merata'im en teen die inwoners van Pekod.^h Laat hulle uitgemeor en heeltemal vernietig word,"* sê Jehovah. "Doen alles wat ek jou beveel het.

22 Daar is die geluid van oorlog in die land, 'n groot ramp.

23 Kyk hoe is die hamer* van die hele aarde afgekap en gebreek!ⁱ En kyk hoe Babilon iets skokkends onder die nasies geword het!^j

24 Ek het vir jou 'n strik gestel, en jy is gevang, o Babilon, en jy het dit nie geweet nie. Jy is gevind en gevang,^k want dit is Jehovah wat jy teëgestaan het.

50:17 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. **50:21** *Of "aan vernietiging oorgegee word". **50:23** *Of "smeehamer".

HFST. 50

a 2Kn 25:1
2Kr 36:17
Jer 4:7

b 2Kn 19:35
Jes 14:25
Sef 2:13

c Jes 11:16
Jes 65:10
Jer 23:3
Jer 33:7
Ese 34:14
Mi 2:12

d Mi 7:14

e Jer 31:6

f Ob 19

g Jes 44:22
Jer 31:34
Mi 7:19

h Ese 23:22, 23

i Jes 14:5, 6
Jer 51:20

j Jer 51:41
Op 18:15, 16

k Jer 51:31
Da 5:30
Op 18:8

Tweede kol.

a Jes 13:5
Jer 51:11

b Jer 51:27

c Jer 50:10

d Jes 14:22, 23

e Jes 34:6, 7
Ese 39:18

f Ps 94:1
Jer 51:11

g Jer 50:14

h Ps 137:8
Jer 51:56

i Klg 3:64
Op 18:6

j Jes 14:13

k Jes 13:17, 18

25 Jehovah het sy stoorkamer oopgemaak, en hy bring die wapens van sy woede uit.^a

Want die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, het 'n werk in die land van die Galdeërs.

26 Kom teen haar op vanuit afgeleë plekke.^b Maak haar graanskure oop.^c Stapel haar op soos hope graan.

Vernietig haar heeltemal.^{*d} Mag sy niemand oorhê nie.

27 Slag al haar jong bulle.^e Laat hulle afgaan om geslagte word.

Dit is verby met hulle, want hulle dag het gekom, hulle tyd van afrekening!

28 Daar is die geluid van dié wat vlug, dié wat ontsnap uit die land van Babilon om in Sion die wraak van Jehovah ons God aan te kondig, die wraak vir sy tempel.^f

29 Roep boogskutters teen Babilon, almal wat die boog span.^{*g} Slaan rondom haar kamp op. Laat niemand ontsnap nie.

Betaal haar terug vir haar dade.^h

Doen aan haar net soos sy gedoen het.ⁱ

Want sy het hoogmoedig teen Jehovah opgetree, teen die Heilige van Israel.^j

30 Daarom sal haar jong manne op haar openbare pleine val,^k en al haar soldate sal op daardie dag sterf,^{**} sê Jehovah.

50:26 *Of "Gee haar aan vernietiging oor". **50:29** *Lett. "trap". **50:30** *Lett. "stilgemaak word".

- 31** “Ek is teen jou,^a jy wat so uitdagend is,”^b sê die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, “want jou dag sal kom, die tyd dat ek jou sal straf.
- 32** Jy, jy wat so uitdagend is, sal struikel en val, met niemand om jou op te help nie.^c En ek sal jou stede aan die brand steek, en die vuur sal alles om jou verteer.”
- 33** Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: “Israel en Juda word onderdruk, en almal wat hulle gevange geneem het, het hulle vasgehou.^d Hulle het geweier om hulle te laat gaan.^e
- 34** Maar hulle Terugkoper is sterk.^f Jehovah van die leërmagte is sy naam.^g Hy sal hulle regsak beslis verdedig,^h om die land rus te geeⁱ en om ontsteltenis oor die inwoners van Babilon te bring.”^j
- 35** “Daar is ’n swaard teen die Galdeërs,” sê Jehovah, “teen die inwoners van Babilon en teen haar leiers en teen haar wyses.^k
- 36** Daar is ’n swaard teen die valse profete,^{*} en hulle sal soos dwase mense optree. Daar is ’n swaard teen haar vegters, en hulle sal baie bang word.^l
- 37** Daar is ’n swaard teen hulle perde en hulle strydwaens en teen al die gemengde bevolkings wat in haar is,

50:36 * Of “dié wat leë praatjies maak”.

HFST. 50

a Jer 51:25

b Jes 14:13

Da 4:30

c Jer 51:26

d Jes 47:6

e Jer 14:17

f Jer 41:14

Op 18:8

g Jer 47:4

h Klg 3:59

i Jer 14:3, 4

j Jer 51:24

k Jer 47:13

Jer 51:57

Da 5:7

l Jer 51:30

Tweede kol.

a Jer 13:8

b Jer 45:3

c Jer 44:27

Jer 51:36, 37

Op 16:12

d Jer 46:1

Jer 51:44, 52

Da 5:1, 4

e Jer 13:20, 21

Jer 51:37

Op 18:2

f Jer 25:12

Jer 51:43, 64

g Jer 13:19

h Ge 19:24, 25

Jud 7

i Jer 51:26

j Jer 45:1

Jer 51:11

Jer 51:27, 28

k Jer 13:5, 17

l Jer 50:9

m Ps 137:8

Jes 13:17, 18

n Jer 51:42

o Jer 51:27

p Jer 51:31

q Da 5:6

en hulle sal soos vrouens word.^a

Daar is ’n swaard teen haar skatte, en dit sal wegge- neem word.^b

- 38** Daar is ’n verwoesting oor haar waters, en dit sal opgedroog word.^c

Want dit is ’n land van afgodsbeelde,^d

en as gevolg van hulle skrik- wekkende visioene bly hulle soos mal mense optree.

- 39** Daarom sal die woestyndie- re saam met die huilende diere bly, en die volstruise sal in haar bly.^e

Sy sal nooit weer bewoon word nie,

en sy sal in alle geslagte nie ’n woonplek wees nie.”^f

- 40** “Net soos toe God So- dom en Gomor’ra^g en hulle na- burige dorpe vernietig het,”^h sê Jehovah, “sal niemand daar bly nie en sal geen mens daar gaan woon nie.”ⁱ

- 41** Daar kom ’n volk uit die noorde.

’n Groot nasie en groot konings^j sal kom uit die mees afgeleë dele van die aarde.^k

- 42** Hulle hanteer die boog en die spies.^l

Hulle is wreed en sal geen genade betoon nie.^m

Hulle geluid is soos die gedruis van die see,ⁿ terwyl hulle op hulle perde ry.

Soos een man kom hulle in gevegsformasie teen jou, o dogter van Babilon.^o

- 43** Die koning van Babilon het die berig oor hulle gehoor,^p en sy hande word slap.^q

Angs oorweldig hom,
pyn soos dié van 'n vrou
wat geboorte gee.

44 "Iemand sal soos 'n leeu uit die digte bosse langs die Jordaanrivier opkom teen die veilige weivelde, maar ek sal hulle skielik van haar af laat vlug. En ek sal die een wat uitgekies is, oor haar aanstel.^a Want wie is soos ek, en wie sal my uitdaag? Watter herder kan voor my staande bly?^b **45** Hoor dus, o manne, wat Jehovah teen Babilon besluit het^c en wat hy teen die land van die Galdeërs uitgedink het:

Die kleintjies van die kudde sal beslis weggesleep word.

Hy sal hulle woonplek verlate laat word as gevolg van hulle.^d

46 Wanneer Babilon ingeneem word, sal daar so 'n geraas wees dat die aarde sal bewe, en 'n geskree sal onder die nasies gehoor word."^e

51 Dit is wat Jehovah sê:
"Ek laat 'n verwoestende wind opkom

teen Babilon^f en die inwoners van Leb-Kamai.*

2 Ek sal mense na Babilon stuur, en hulle sal haar soos kaf in die wind verstrooi en haar land leegmaak.

In die dag van rampspoed sal hulle van alle kante teen haar opkom.^g

3 Laat die boogskutter nie sy boog span* nie. En laat niemand opstaan terwyl hy sy pantser^h dra nie.

51:1 *Blykbaar 'n kriptografiese naam vir Galdea. **51:3** *Lett. "trap". [#]n Beskermende kledingstuk wat deur 'n vegter gedra is.

HFST. 50

a Jes 41:25

b Jer 49:19-21

c Jer 51:11

d Jes 13:1, 20
Jer 51:43

e Op 18:9

HFST. 51

f Jer 50:9

g Jer 50:14, 29

Tweede kol.

a Jes 13:17, 18
Jer 50:30

b Jes 13:15

c Ps 94:14
Jes 44:21
Jer 46:28
Sag 2:12

d Jer 50:8
Sag 2:7
Op 18:4

e Jer 25:12, 14
Jer 50:15

f Op 17:1, 2
Op 18:3

g Jer 25:15, 16

h Jes 21:9
Jes 47:9
Op 14:8

i Op 18:2, 9

j Jes 13:14

k Op 18:4, 5

l Mi 7:9

Moenie enige genade aan haar jong manne betoon nie.^a

Vernietig haar hele leërmag.

4 En hulle sal dood neerval in die land van die Galdeërs, deurboor op haar strate.^b

5 Want Jehovah van die leërmagte het Israel en Juda nie verlaat nie.^c Hulle is nie weduwees nie.

Maar hulle land* is vol skuld vanuit die standpunt van die Heilige van Israel.

6 Vlug uit Babilon uit!

Vlug vir julle lewe!^d

Moenie sterf as gevolg van haar oortreding nie.

Want dit is die tyd vir Jehovah se wraak.

Hy betaal haar terug vir wat sy gedoen het.^e

7 Babilon was 'n goue beker in die hand van Jehovah.

Sy het die hele aarde dronk gemaak.

Die nasies het van haar wyn gedrink,^f

en daarom het die nasies mal geword.^g

8 Skielik het Babilon geval en is sy gebreek.^h

Huil oor haar!

Gaan haal balsem vir haar pyn. Miskien kan sy genees word."

9 "Ons het Babilon probeer genees, maar sy kon nie genees word nie.

Verlaat haar en laat ons gaan, elkeen na sy eie land.ⁱ

Want haar oordeel het tot aan die hemel gereik.

Dit is so hoog soos die wolke.^k

10 Jehovah het vir ons geregtigheid gebring.^j

51:5 *D.w.s. die land van die Galdeërs.

- Kom en laat ons in Sion die werk van Jehovah ons God verkondig.”^a
- 11** “Maak die pyle skerp,^b en neem die ronde skilde.* Jehovah het die gees van die konings van die Mede opgewek^c omdat hy Babilon wil vernietig. Want dit is die wraak van Jehovah, die wraak vir sy tempel.
- 12** Rig ’n teken* op^d teen die mure van Babilon. Versterk die wag, sit die wagte op hulle poste. Maak gereed om skielik aan te val. Want Jehovah het die strategie uitgedink, en hy sal doen wat hy teen die inwoners van Babilon belowe het.”^e
- 13** “O vrou wat op baie waters woon,^f met ’n oorvloed skatte,^g jy en jou winsmakery* het tot ’n einde gekom.^h
- 14** Jehovah van die leërmagte het by homself gesweer: ‘Ek sal jou met manne vul, so baie soos sprinkane, en hulle sal uitroep as gevolg van hulle oorwinning oor jou.’ⁱ
- 15** Hy is die Maker van die aarde deur sy krag, die Een wat die vrugbare land gevestig het deur sy wysheid^j en wat die hemel uitgespan het deur sy verstand.^k
- 16** Wanneer hy sy stem laat hoor, is die water in die hemel onstuimig,

51:11 *Of moontlik “maak die kokers vol”. **51:12** *Of “seinpaal”. **51:13** *Lett. “die maat van jou winsmakery”.

HFST. 51

a Jer 50:28

b Jer 50:14

c Jes 13:17
Jes 45:1

d Jes 13:2

e Op 17:17

f Op 17:1, 15

g Jes 45:3
Jer 50:37

h Hab 2:9
Op 18:11, 12
Op 18:19

i Jer 50:15

j Ps 93:1
Ps 104:24

k Ps 136:5
Spr 3:19
Jes 40:22
Jer 10:12-16

Tweede kol.

a Ps 135:7

b Jes 44:11

c Hab 2:19

d Jes 41:29
Jer 14:22

e De 32:9

f Jes 47:4

en hy laat wolke* van die eindes van die aarde af opstyg.

Hy maak weerlig[#] vir die reën, en hy bring die wind uit sy stoorkamers uit.^a

17 Elke mens tree onverstandig en sonder kennis op.

Elke metaalwerker sal verneder word as gevolg van sy beeld,^b

want sy metaalbeeld is ’n leuen,

en daar is geen gees* in hulle nie.^c

18 Hulle is nuttelos, ^{#d} werke wat ’n bespotting is.

Wanneer hulle dag van afrekening kom, sal hulle verdwyn.

19 Die Deel van Jakob is nie soos hierdie dinge nie, want hy is die Een wat alles gemaak het, selfs die staf van sy erfdeel.^e Jehovah van die leërmagte is sy naam.”^f

20 “Jy is ’n oorlogsknuppel vir my, ’n wapen vir die geveg, want met jou sal ek nasies stukkend slaan.

Met jou sal ek koninkryke verwoes.

21 Met jou sal ek die perd en sy ruiters stukkend slaan. Met jou sal ek die strydwa en sy ruiters stukkend slaan.

22 Met jou sal ek man en vrou stukkend slaan.

Met jou sal ek ou man en seun stukkend slaan.

Met jou sal ek jong man en jong vrou stukkend slaan.

23 Met jou sal ek die herder en sy kudde stukkend slaan.

51:16 *Of “dampe”. [#]Of moontlik “sluise”. **51:17** *Of “asem”. **51:18** *Of “’n bedrogspul”.

- Met jou sal ek die boer en yspan diere stukkend slaan. Met jou sal ek goewerneys en amptenare stukkend slaan.
- 24** En ek sal Babilon en al die inwoners van Galde'a terugbetaal vir al die goddeloosheid wat hulle in Sion voor julle oë gedoen het,"^a sê Jehovah.
- 25** "Ek is teen jou,^b o verwoestende berg," sê Jehovah, "jy wat die hele aarde vernietig."^c
Ek sal my hand teen jou uitsteek en jou van die kranse afrol en jou 'n uitgebrande berg maak."
- 26** "Mense sal nie 'n hoeksteen of 'n fondamentsteen uit jou neem nie, want jy sal vir ewig verlate wees,"^d sê Jehovah.
- 27** "Rig 'n teken* in die land op."^e
Blaas 'n horing onder die nasies. Stel die nasies teen haar aan.[#]
Roep die koninkryke van A'rarat,^f Minni en As'kenas^g om teen haar te kom. Stel 'n offisier teen haar aan om meer soldate te kry. Laat die perde soos stekelrige sprinkane opkom.
- 28** Stel die nasies teen haar aan,[#] die konings, die goewerneys en al die amptenare van Medië^h en al die lande waaroor hulle regeer.
- 29** Die aarde sal skud en bewe, want Jehovah se gedagtes teen Babilon sal uitgevoer word

51:27 *Of "seinpaal". 51:27, 28 #Lett. "Heilig die nasies teen haar".

HFST. 51

a Ps 137:8

b Jer 50:31

c Jer 25:9

d Jer 50:13, 40
Op 18:21

e Jes 13:2
Jer 51:12

f Ge 8:4

g Ge 10:2, 3
Jer 50:41

h Jes 13:17
Da 5:30, 31

Tweede kol.

a Jes 13:13, 19
Jer 50:13
Jer 50:39, 40

b Jes 13:7

c Jer 50:37

d Ps 107:16
Jes 45:2

e Jes 47:11
Jer 50:24, 43

f Jes 44:27
Jer 50:38
Op 16:12

g 2Kr 36:17, 18
Jer 50:17

h Jer 51:44

om die land van Babilon iets skokkends te maak, sonder 'n enkele inwoner.^a

- 30** Die vegters van Babilon het ophou veg. Hulle sit in hulle vestings. Hulle het nie meer krag nie.^b Hulle het soos vrouens geword.^c
Haar huise is aan die brand gestek.
Haar grendels is gebreek.^d
- 31** Die een hardloper hardloop om die ander hardloper te ontmoet, en die een boodskapper om die ander boodskapper te ontmoet, om vir die koning van Babilon te vertel dat sy stad aan alle kante ingeneem is.^e
- 32** dat die driuwe beset is,^f dat die papirusbote met vuur verbrand is en dat die soldate baie bang is."
- 33** Want dit is wat Jehovah van die leërmagte, die God van Israel, sê:
"Die dogter van Babilon is soos 'n dorsvloer. Dit is die tyd om haar vas te stamp. Binnekort sal die oestyd vir haar kom."
- 34** "Koning Nebukadne'sar* van Babilon het my verslind,^g en hy het my verwar. Hy het my soos 'n leë houer neergesit. Hy het my ingesluk, soos 'n groot slang.^h
Hy het sy maag met my kosbare dinge gevul. Hy het my weggespoel.

51:34 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam.

- 35** 'Mag die geweld wat aan my en my liggaam gedoen is, oor Babilon kom!' sê die inwoner van Sion.^a
'En mag my bloed oor die inwoners van Galde'a kom!' sê Jerusalem."
- 36** Daarom sê Jehovah:
"Ek verdedig jou regsak,^b en ek sal vir jou wraak neem.^c
Ek sal haar see opdroog, en ek sal haar putte sonder water laat.^d
- 37** En Babilon sal kliphope word,^e
'n lêplek van jakkalse,^f iets skokkends en iets om oor te fluit, sonder 'n enkele inwoner.^g
- 38** Hulle sal almal saam soos jong leeus* brul.
Hulle sal soos leeuwepies grom."
- 39** "Wanneer hulle begeertes sterk is, sal ek vir hulle 'n feesmaal voorberei en hulle dronk maak, sodat hulle bly kan wees.^h
Dan sal hulle permanent slaap, en hulle sal nie wakker word nie,ⁱ sê Jehovah.
- 40** "Ek sal hulle soos lammers afbring om geslag te word, soos skaapramme en bokke."
- 41** "Kyk hoe is Sesag* ingeneem,^j
hoe die Lof van die hele aarde verower is!^k
Kyk hoe Babilon iets skokkends onder die nasies geword het!
- 42** Die see het oor Babilon opgekom.
- 51:38** *Of "jong maanhaarlees".
51:41 *Blykbaar 'n kriptografiese naam vir Babel (Babilon).
- HFST. 51
a Ps 137:8
Jer 50:29
b Jer 50:34
c De 32:35
d Jes 44:27
Jer 50:38
e Jer 25:12
Jer 50:15
f Jes 13:19, 22
g Jer 50:13, 39
h Da 5:1, 4
i Jer 25:17, 27
Jer 51:57
j Jer 25:17, 26
k Jes 13:19
Jer 49:25
Da 4:30
- Tweede kol.**
a Jes 13:1, 20
Jer 50:39
b Jes 46:1
Jer 50:2
c 2Kr 36:7
Esr 1:7
Jer 51:34
Da 1:1, 2
d Jer 51:58
e Jes 48:20
Op 18:4
f Jer 51:6
Sag 2:7
g Jes 13:13
h Jes 13:15
Da 5:30
i Jes 44:23
Jes 48:20
Jes 49:13
Op 18:20
j Jer 50:3
Jer 50:41
k Jer 50:17
Jer 51:24

- Sy is deur baie golwe van die see bedek.
- 43** Haar stede het iets skokkends geword, 'n waterlose land en 'n woestyn.
'n Land waar niemand sal woon nie en waardeer geen mens sal trek nie.^a
- 44** Ek sal my aandag rig op Bel^b in Babilon,
en ek sal uit sy mond haal wat hy ingesluk het.^c
Nasies sal nie meer na hom toe stroom nie,
en die muur van Babilon sal val.^d
- 45** Gaan uit haar uit, my volk!^e
Vlug vir julle lewe,^f weg van die brandende woede van Jehovah!^g
- 46** Moenie moed verloor of bang word as gevolg van die berig wat in die land gehoor sal word nie.
In een jaar sal die berig kom,
en in die volgende jaar nog 'n berig,
van geweld in die land en van heerser teen heerser.
- 47** Daarom kom die dae wanneer ek my aandag op die afgodsbeelde van Babilon sal rig.
Haar hele land sal verneder word,
en almal wat in haar doodgemaak is, sal in haar lê.^h
- 48** Die hemel en die aarde en alles wat in hulle is, sal van vreugde uitroep oor Babilon,ⁱ
want die vernietigers sal uit die noorde na haar toe kom,^j sê Jehovah.
- 49** "Babilon het nie net dié wat in Israel doodgemaak is, in haar laat lê nie.^k
maar almal wat op die aarde doodgemaak is, het ook in Babilon gelê.

50 Julle wat van die swaard ontsnap het, hou aan vlug, moenie stilstaan nie!^a

Dink van ver af aan

Jehovah,
en laat Jerusalem in julle hart opkom.”^b

51 “Ons is verneder, want ons het gehoor hoe daar gespot word.

Vernedering het ons gesigte bedek,

want uitlanders* het teen die heilige plekke van die huis van Jehovah gekom.”^c

52 “Daarom kom die dae,” sê Jehovah,

“wanneer ek my aandag op haar afgodsbeelde sal rig, en in haar hele land sal die gewondes kreun.”^d

53 “Al sou Babilon na die hemel opgaan,^e

selfs al sou sy haar toringhoë vestings versterk, sal haar vernietigers van my af kom,”^f sê Jehovah.

54 “Luister! Daar is ’n geskree uit Babilon,^g

die geluid van ’n groot ramp uit die land van die Galdeërs,^h

55 Want Jehovah vernietig Babilon.

Hy sal haar harde stem stilmaak,

en hulle golwe sal druis soos baie water.

Die geluid van hulle stem sal gehoor word.

56 Want die vernietiger sal oor Babilon kom.ⁱ

Haar vegters sal gevange geneem word,^j

en hulle boog sal stukkend geslaan word,

want Jehovah is ’n God van straf.^k

Hy sal beslis terugbetaal.^l

51:51 *Of “vreemdelinge”.

HFST. 51

a Jer 50:8
Op 18:4

b Esr 1:3
Ps 137:5

c Ps 79:1
Klg 1:10

d Jes 13:15

e Jes 14:13
Da 4:30

f Jer 50:10

g Jes 13:6

h Jer 50:22, 23

i Jes 21:2

j Jer 50:36

k De 32:35
Ps 94:1
Jes 34:8
Jer 50:29
Op 18:5

l Ps 137:8

Tweede kol.

a Jer 25:27

b Jer 51:39

c Jer 50:15
Jer 51:44

d Hab 2:13

e Jer 32:12
Jer 36:4
Jer 45:1

f Jes 13:1, 20
Jes 14:23
Jer 50:3, 39
Jer 51:29, 37

57 Ek sal haar leiers en haar wyse manne dronk maak,^a haar goewerneys en haar amptenare en haar vegters.

Hulle sal permanent slaap, en hulle sal nie wakker word nie,”^b sê die Koning, wie se naam Jehovah van die leërmagte is.

58 Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê:

“Al is die muur van Babilon breed, sal dit heeltemal afgebreek word,^c

en al is haar poorte hoog, sal dit aan die brand gesteek word.

Die volke sal verniet hard werk.

Die nasies sal hulle uitput, maar net om brandstof op die vuur te sit.”^d

59 Die profeet Jeremia het vir Sera’ja, die seun van Neri’a,^e die seun van Magse’ja, die volgende bevel gegee toe hy saam met koning Sedeki’a van Juda na Babilon gegaan het. Dit was in die vierde jaar nadat koning Sedeki’a koning geword het. Sera’ja was toe die kwartiermeester. 60 Jeremia het in een boek al die rampspoed geskryf wat oor Babilon sou kom, al hierdie woorde wat teen Babilon geskryf is. 61 Verder het Jeremia vir Sera’ja gesê: “Wanneer jy by Babilon kom en dit sien, moet jy al hierdie woorde hardop lees. 62 Sê dan: ‘O Jehovah, u het teen hierdie plek gepraat en gesê dat dit vernietig sal word en sonder ’n enkele inwoner – mens of dier – sal wees, en dat dit vir ewig verlate sal wees.’^f 63 En wanneer jy hierdie boek klaar gelees het, moet jy ’n klip daaraan vasbind en dit in die Eufratrivier gooi. 64 Sê dan: ‘So sal Babilon sink

en nooit weer opkom nie^a as gevolg van die rampspoed wat ek oor haar bring, en hulle sal moeg word.”^b

Hier eindig die woorde van Jeremia.

52 Sedeki'a^c was 21 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar lank in Jerusalem regeer. Sy ma was Hamu'tal,^d die dogter van Jeremia, uit Libna. **2** Hy het bly doen wat sleg is in Jehovah se oë, net soos Joja'kim gedoen het.^e **3** Dit was as gevolg van Jehovah se woede dat hierdie dinge in Jerusalem en in Juda gebeur het, en hy het hulle uiteindelik heeltemal verwerp.^f En Sedeki'a het teen die koning van Babilon in opstand gekom.^g **4** In die negende jaar nadat Sedeki'a koning geword het, in die tiende maand, op die tiende dag van die maand, het koning Nebukadne'sar* van Babilon met sy hele leërmag teen Jerusalem opgetrek. Hulle het daar kamp opgeslaan en 'n beleëringsmuur reg rondom die stad gebou.^h **5** En die stad is tot die 11de jaar van koning Sedeki'a beleër.

6 In die vierde maand, op die negende dag van die maand,ⁱ toe die hongersnood in die stad baie erg was en daar geen kos was vir die volk van die land nie,^j **7** is daar uiteindelik deur die stad se muur gebreek. Terwyl die Galdeërs die stad omsingel het, het al die soldate in die nag deur die poort tussen die twee mure naby die koning se tuin uit die stad gevlug, en hulle het gebly op die pad van die A'raba.^k **8** Maar die leërmag van die Galdeërs het die koning agternagesit, en hulle het Sedeki'a^l in die woestynvlaktes van

52:4, 12 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam.

HFST. 51

a Op 18:21

b Jer 51:58

HFST. 52

c 2Kn 24:17-20
2Kr 36:11, 12

d 2Kn 23:31

e 2Kn 24:1
2Kr 36:5

f Le 26:33
De 31:16, 17

g 2Kr 36:11, 13
Ese 17:15

h De 28:52
2Kn 25:1, 2
Jes 29:3
Jer 39:1
Ese 4:1, 2
Ese 21:21, 22

i Jer 39:2

j De 28:53-57
2Kn 25:3-7
Jes 3:1
Ese 4:16

k Jer 39:4-7

l Jer 24:8
Jer 34:21
Jer 37:17
Jer 38:18

Tweede kol.

a Ese 12:13

b 2Kn 25:8-10

c 1Kn 9:8
2Kr 36:17, 19
Ps 74:8
Ps 79:1
Jer 26:18
Klg 2:7
Ese 24:21

d Jer 39:8

e 2Kn 25:11, 12
Jer 39:9, 10

f 2Kn 25:22

g 1Kn 7:15, 21

h 1Kn 7:27

Je'rigo ingehaal, en al sy soldate wat saam met hom was, is verstrooi. **9** Toe het hulle die koning gevang en hom na die koning van Babilon geneem, in Ribla, in die land Hamat, en hy het hom gevonniss. **10** En die koning van Babilon het Sedeki'a se seuns voor sy oë doodgemaak, en hy het ook al die leiers van Juda daar in Ribla doodgemaak. **11** Toe het die koning van Babilon Sedeki'a se oë verblind,^a sy voete in koperboeie gesit, hom na Babilon geneem en hom tot die dag van sy dood gevange gehou.

12 In die vyfde maand, op die tiende dag van die maand, dit wil sê in die 19de jaar van koning Nebukadne'sar,* die koning van Babilon, het Nebusara'dan, die hoof van die wagte, wat 'n dienaar van die koning van Babilon was, na Jerusalem gekom.^b **13** Hy het die huis van Jehovah, die koning se paleis en al die huise van Jerusalem afgebrand.^c Hy het ook elke groot huis afgebrand. **14** En die hele Galdeese leërmag wat saam met die hoof van die wagte was, het die mure om Jerusalem afgebreek.^d

15 Nebusara'dan, die hoof van die wagte, het van die arm mense van die volk en die res van die volk wat in die stad oorgebly het, in ballingskap weggeneem. Hy het ook die mense geneem wat na die koning van Babilon oorgeloop het, sowel as die res van die vaardige ambagsmanne.^e **16** Maar Nebusara'dan, die hoof van die wagte, het van die armste mense van die land agtergelaat om wingerde te bewerk en om as slawe te werk.^f

17 Die Galdeërs het die kopperpilare^g van die huis van Jehovah en die waentjies^h en

die Kopersee^a wat in die huis van Jehovah was, in stukke gebreek, en hulle het al die koper na Babilon weggedra.^b **18** Hulle het ook die kanne geneem, sowel as die grawe, die blussers, die bakke,^c die bekere^d en al die voorwerpe van koper wat in die diens by die tempel gebruik is. **19** Die hoof van die wagte het die komme,^e die vuurbakke, die bakke, die kanne, die lampstaanders,^f die bekere en die bakke wat van egte goud en silwer was, geneem.^g **20** Die koper van die twee pilare, die See, die 12 koperbulle^h onder die See en die waentjies wat koning Salomo vir die huis van Jehovah gemaak het, was te veel om geveeg te word.

21 Elkeen van die pilare was 18 el* hoog, en 'n maatlyn van 12 el kon daarom gespan word.ⁱ Dit was vier vingerbreedtes[†] dik, en dit was hol. **22** En die kopstuk daarop was van koper. Die een kopstuk was vyf el hoog,^j en die netwerk en die granate reg rondom die kopstuk was alles van koper gemaak. Die tweede pilaar was presies dieselfde, en ook die granate. **23** Daar was 96 granate aan die kante, en daar was altesaam 100 granate reg rondom die netwerk.^k

24 Die hoof van die wagte het ook die hoofpriester Sera'ja,^l die tweede priester Sefan'ja^m en die drie deurwagters saamgeneem.ⁿ **25** Hy het ook een hofbeampte wat oor die soldate aangestel was, uit die stad geneem, sowel as sewe van die koning se raadgevers wat in die stad was, die sekretaris van die hoof van die leërmag, wat

52:21 *'n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanh. B14. [†]n Vingerbreedte was gelyk aan 1,85 cm. Sien Aanh. B14.

HFST. 52

- a 1Kn 7:23
2Kr 4:11-15
 - b 2Kn 25:13-16
Jer 27:19, 22
 - c 1Kn 7:45
 - d 2Kr 4:19, 22
 - e 1Kn 7:50
 - f 1Kn 7:48, 49
 - g 2Kr 24:14
2Kr 36:18
 - h 1Kn 7:23, 25
 - i 1Kn 7:15-20
 - j 2Kr 3:15
 - k 2Kr 3:16
2Kr 4:13
 - l 1Kr 6:14
Esr 7:1
 - m Jer 21:1, 2
Jer 29:25
 - n 2Kn 25:18-21
- Tweede kol.
- a 2Kn 25:6
Jer 52:10
 - b Le 18:25
Le 26:33
De 28:36
Jes 24:3
Jer 25:9
 - c 2Kn 24:12, 14
 - d Jer 32:1
 - e Jer 6:9
 - f 2Kn 24:8
Jer 24:1
Jer 37:1
Mt 1:11
 - g 2Kn 25:27-30

die volk van die land opgeroep het, en 60 manne van die gewone mense van die land wat nog in die stad was. **26** Nebusara'dan, die hoof van die wagte, het hulle na die koning van Babilon in Ribla geneem. **27** Die koning van Babilon het hulle doodgemaak in Ribla,^a in die land Hamat. So het Juda uit sy land in ballingskap gegaan.^b

28 Die aantal mense wat Nebukadne'sar* in die sewende jaar in ballingskap weggeneem het, was 3 023 Jode.^c

29 In die 18de jaar van Nebukadne'sar*^d is 832 mense uit Jerusalem geneem.

30 In die 23ste jaar van Nebukadne'sar* het Nebusara'dan, die hoof van die wagte, Jode in ballingskap weggeneem: 745 mense.^e

Altesaam is 4 600 mense in ballingskap weggeneem.

31 Toe, in die 37ste jaar van die ballingskap van koning Joja'gin' van Juda, in die 12de maand, op die 25ste dag van die maand, in die jaar toe koning E'wil-Mero'dag van Babilon koning geword het, het hy koning Joja'gin van Juda vrygelaat* en hom uit die tronk uitgebring.^g

32 Hy het hom goed behandel en hom meer geëer as die ander konings* wat saam met hom in Babilon was. **33** Joja'gin het sy gevangenisklere uitgetrek, en hy het vir die res van sy lewe aan die koning se tafel geëet. **34** Hy het dag ná dag, tot die dag van sy dood, al die dae van sy lewe, kos van die koning van Babilon ontvang.

52:28-30 *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. 52:31 *Lett. "die kop van koning Jojagin van Juda opgelig". 52:32 *Lett. "hom 'n troon gegee bo die trone van die konings".

KLAAGLIEDERE

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Jerusalem as weduwee afgebeeld
Sy sit alleen en verlate (1)
Sion se ernstige sondes (8, 9)
Sion deur God verwerp (12-15)
Niemand om Sion te vertrou nie (17)</p> <p>2 Jehovah se woede teen Jerusalem
Geen genade nie (2)
Jehovah soos vyand vir haar (5)
Trane oor Sion (11-13)
Verbygangers spot stad wat pragtig was (15)
Vyande bly oor Sion se ondergang (17)</p> <p>3 Jeremia spreek sy gevoelens en hoop uit
'Ek sal geduldig wag' (21)
God se genade is elke oggend nuut (22, 23)</p> | <p>God is goed vir dié wat op hom hoop (25)
Goed om juk in jeug te dra (27)
God het toegang tot hom met wolk versper (43, 44)</p> <p>4 Verskriklike gevolge van Jerusalem se beleëring
Hongersnood (4, 5, 9)
Vrouens kook hulle eie kinders (10)
Jehovah het sy woede uitgestort (11)</p> <p>5 Volk bid dat hulle herstel word
"Dink aan wat met ons gebeur het" (1)
"Dit gaan sleg met ons, want ons het gesondig" (16)
'Bring ons terug, o Jehovah' (21)
'Maak ons lewe soos dit vroeër was' (21)</p> |
|--|---|

Ⲁ [Alef]*

- 1** Dit is verskriklik! Die stad wat vol mense was,^a sit nou heeltmaal alleen.
Sy het soos 'n weduwee geword, sy wat 'n groot volk onder die nasies was!^b
Sy wat 'n prinses onder die provinsies was, het nou 'n slavin geword!^c

Ⲁ [Bet]

- 2** In die nag huil sy bitterlik,^d en die trane stroom oor haar wange.
Nie een van dié wat haar liefgehad het, is daar om haar te troos nie.^e
Al haar vriende het haar verraai.^f Hulle het haar vyande geword.

1:1 *Hoofstuk 1-4 is treurliedere in die vorm van 'n akrostigon, waar die eerste letter van elke vers of groep verse die Hebreeuse alfabet vorm.

HFST. 1

- a Ps 122:3, 4
b 1Kn 4:20
c De 28:15, 48
2Kn 25:11, 12
d Klg 1:16
e Jer 4:30
Ese 16:37
f Jer 30:14

Tweede kol.

- a Le 26:33
2Kn 24:14, 15
2Kn 25:21
Jer 39:9
Jer 52:27
b Jer 17:4
c De 28:64
d Am 8:10
e Jes 3:26
f Sag 1:15

Ⲁ [Gimel]

- 3** Juda het in ballingskap gegaan.^a Sy kry swaar en is 'n slavin.^b
Sy moet onder die nasies woon.^c Sy vind geen rusplek nie.
Al haar vervolgers het haar tydens haar rampspoed ingehaal.
Ⲁ [Dalet]
- 4** Die paaie na Sion treur, want niemand kom na die fees toe nie.^d
Al haar poorte is verwoes.^e
Haar priesters sug.
Haar jong vroue* treur, en sy kry bitter swaar.
Ⲁ [He]
- 5** Haar teenstanders is nou haar meester. Haar vyande het geen bekomernisse nie.^f

1:4 *Lett. "maagde".

Want Jehovah het droefheid oor haar gebring weens al haar oortredings.^a
Haar kinders is deur die vyand gevange geneem.^b

† [Waw]

- 6 Die dogter van Sion het al haar prag verloor.^c
Haar leiers is soos takbokke wat geen weiding gevind het nie
en wat uitgeput voor die agtervolger loop.

† [Zajin]

- 7 Terwyl Jerusalem swaarkry en nie meer 'n woonplek het nie, dink sy terug aan al die kosbare dinge wat sy lank gelede gehad het.^d
Toe haar volk deur die vyand verslaan is* en sy geen helper gehad het nie,^e
het haar vyande haar gesien en oor haar ondergang gelag.^f

□ [Get]

- 8 Jerusalem het ernstige sondes gepleeg.^g
Daarom het sy iets walglyks geword.
Almal wat haar geëer het, behandel haar nou as iets walglyks, want hulle het haar naaktheid gesien.^h
Sy sugⁱ en draai in skaamte weg.

⊕ [Tet]

- 9 Haar onreinheid sit aan haar kleres vas.
Sy het glad nie aan haar toekoms gedink nie.^j
Haar ondergang was skokkend, en sy het niemand om haar te vertroos nie.
O Jehovah, kyk hoe sleg gaan dit met my, want die vyand hou hom groot.^k

HFST. 1

a 2Kr 36:15, 16
Ne 9:33
Da 9:7, 16

b Jer 39:9
Jer 52:30

c Ese 24:21

d 1Kn 10:27

e Jer 52:4

f Ps 137:7
Klg 2:16

g Jes 1:4
Jes 59:2
Ese 22:4

h Jer 13:22
Ese 23:29

i Jer 4:31

j Jer 8:7

k Jer 50:29

Tweede kol.

a Jer 52:17, 19
Da 1:1, 2

b 2Kr 36:17, 18
Ps 74:7
Jer 52:13

c Jer 38:9
Jer 52:6
Klg 2:12
Klg 4:4

d Jer 21:7

e Ps 102:3

f Le 26:37
Ese 11:9

ˆ [Jod]

- 10 Die vyand het al haar skatte gevat.^a
Want sy het nasies in haar heiligdom sien inkom,^b
dié wat u verbied het om in u gemeente te kom.

⊕ [Kaf]

- 11 Haar hele volk sug, en hulle soek kos.^c
Hulle het hulle kosbare dinge gegee vir iets om te eet, net om aan die lewe te bly.
Kyk, o Jehovah, en sien tog dat ek soos 'n nikswerd vrou* geword het.

↳ [Lamed]

- 12 Gee julle nie om nie, julle wat met die pad verbygaan?
Kyk en sien!
Is daar enige pyn soos die pyn wat oor my gebring is, wat Jehovah my laat ondervind het in die dag van sy brandende woede?^d

⊕ [Mem]

- 13 Hy het vuur uit die hemel gestuur om elke been in my te verteer.^e
Hy het 'n vangnet vir my voete uitgesprei. Hy het my gedwing om terug te draai.
Hy het my 'n verlate vrou gemaak.
Ek is die hele dag lank siek.

‡ [Noen]

- 14 My oortredings is soos 'n juk vasgebind. Sy hand het hulle vasgemaak.
Hulle is op my nek gesit, en daarom het my krag ingegeë.
Jehovah het my oor gelewer aan* dié teen wie ek my nie kan verdedig nie.^f

1:11 * Jerusalem word hier as 'n vrou afgebeeld. 1:14 * Lett. "in die hand gegee van".

1:7 * Lett. "in die hand van die vyand geval het".

𐤃 [Samek]

- 15 Jehovah het al my magtige manne van my af wegge-neem.^a

Hy het 'n skare teen my laat kom om my jong manne te verpletter.^b

Jehovah het die maagdelike dogter van Juda in die wynpers getrap.^c

𐤅 [Ajin]

- 16 Ek huil oor hierdie dinge.^d Die trane stroom uit my oë.

Want daar is niemand naby my wat my kan vertroos of versterk nie.

My kinders is verlate, want die vyand het oorwin.

𐤆 [Pe]

- 17 Sion het haar hande uitge-strek,^e en sy het niemand om haar te vertroos nie.

Jehovah het al Jakob se vy-ande teen hom opgeroep.^f Jerusalem het vir hulle iets walglik geword.^g

𐤇 [Tsade]

- 18 Jehovah is regverdig.^h Ek het teen sy bevele in opstand gekom.ⁱ

Luister nou, alle volke, en sien my pyn.

My jong vroue* en my jong manne het in gevangenskap gegaan.^j

𐤈 [Kof]

- 19 Ek het geroep na dié wat my liefgehad het, maar hulle het my verraai.^k

In die stad het my priesters en my ouermanne gesterf terwyl hulle kos gesoek het om aan die lewe te bly.^l

𐤉 [Resj]

- 20 O Jehovah, kyk tog, want ek kry baie swaar. My maag* draai.

HFST. 1

a 2Kn 24:14, 15

b 2Kr 36:17

c Op 14:19
Op 19:15

d Jer 31:15

e Jer 4:31

f De 28:49
2Kn 24:1, 2
2Kn 25:1

g Klg 1:8

h Ne 9:33
Da 9:7

i 1Sa 12:14, 15

j De 28:32

k Jer 30:14

l 2Kn 25:3
Jer 38:9

Tweede kol.

a Ps 107:11
Jes 1:2

Jes 63:10

b De 32:25
Jer 15:2

c Ese 25:6, 7
Ob 12

d Jer 13:19
Jer 25:12-14
Jl 3:19

e Ps 137:8, 9
Jes 51:22, 23

f Jer 51:35

HFST. 2

g Klg 2:15

h 1Kr 28:2
Ps 132:7
Jes 60:13

i De 28:52
Mi 5:11

j Ese 21:26, 27

k Jer 39:7
Jes 43:28

l Ps 74:10, 11

My hart is angstig, want ek was baie opstandig.^a

Buite sterf my kinders weens die swaard,^b en binne die huise is dit soos die dood.

𐤊 [Sjin]

- 21 Mense het gehoor hoe ek sug. Daar is niemand om my te vertroos nie.

Al my vyande het van my ramspoed gehoor.

Hulle is bly omdat u dit oor my gebring het.^c

Maar u sal die dag laat kom wat u voorspel het,^d want hulle net soos ek sal word.^e

𐤋 [Taw]

- 22 Mag u al hulle slegtheid sien en hulle straf,^f

net soos u my gestraf het weens al my oortredings. Want ek bly sug, en my hart is siek.

𐤍 [Alef]

- 2 Kyk hoe Jehovah die dogter van Sion in sy woede met 'n donker wolk bedek het!

Hy het die prag van Israel uit die hemel na die aarde toe neergegooi.^g

Hy het nie aan sy voetbank^h gedink op die dag van sy woede nie.

𐤎 [Bet]

- 2 Jehovah het al die woonplekke van Jakob verwoes sonder om genade te betoon.

In sy woede het hy die vestings van die dogter van Juda afgebreek.ⁱ

Hy het die koninkryk^j en haar leiers^k tot in die stof verneder en ontheilig.

𐤏 [Gimel]

- 3 In sy groot woede het hy al Israel se krag weggeneem. Hy het Israel nie gehelp toe die vyand aangeval het nie.^l

1:18 *Lett. "maagde". 1:20 *Lett. "in-gewande".

En in Jakob het hy bly brand
soos 'n vuur wat alles om
hom verteer.^a

† [Dalet]

- 4 Soos 'n vyand het hy sy
boog gespan. Sy regter-
hand is gereed om aan
te val.^b

Hy het almal doodgemaak
wat dierbaar was.^c

In die tent van die dogter
van Sion^d het hy sy woede
soos 'n vuur^e uitgestort.

† [He]

- 5 Jehovah het soos 'n vyand
geword.^f

Hy het Israel verwoes.

Hy het al haar torings
verwoes.

Hy het al die vestings
vernietig.

En hy laat die dogter van
Juda rou en treur.

† [Waw]

- 6 Hy het sy hut afgebreek,^g
soos 'n hut in 'n tuin.

Hy het sy feeste laat ophou.^h
Jehovah het Sion haar
feeste en sabbatte laat
vergeet.

En in sy groot woede het
hy koning en priester
verwerp.ⁱ

† [Zajin]

- 7 Jehovah het sy altaar
verstoot.

Hy het sy heiligdom
verwerp.^j

Hy het die mure van haar
versterkte torings in die
hand van die vyand
gegee.^k

In die huis van Jehovah
roep hulle hard uit,^l
soos op 'n feesdag.

† [Get]

- 8 Jehovah het besluit om die
muur van die dogter van
Sion te verwoes.^m

Hy het dit met die maatlyn
gemeet.ⁿ

HFST. 2

a De 32:22
Jes 42:25
Jer 7:20

b De 28:63
Jes 63:10
Jer 21:5

c 2Kn 25:21

d Jer 10:20

e Jer 4:4

f Jer 30:14

g 2Kn 25:8, 9
2Kr 36:19
Jes 63:18
Jes 64:11

h Klg 1:4

i Jer 52:24, 27

j Le 26:31
Jer 26:6
Jer 52:12, 13
Ese 24:21
Mi 3:12

k 2Kr 36:19

l Ps 74:4

m 2Kn 25:10
Jer 39:8

n 2Kn 21:13
Jes 28:17

Tweede kol.

a Ne 1:3
Jer 14:2

b De 28:15, 36
2Kn 24:15
2Kn 25:7
Klg 4:20
Ese 12:13
Da 1:3, 6

c Ps 74:9
Jer 23:16
Ese 7:26

d Jes 3:26

e Jer 6:26
Ese 7:18

f Klg 3:48

g Jer 14:17

h Jer 11:22
Klg 2:19
Klg 4:4

i De 28:49, 51
2Kn 25:3
Jes 3:1
Jer 18:21

Hy het nie die vernietiging
teruggehou nie.

Hy laat die beleëringswal
en muur treur.

Saam het hulle swak
geword.

‡ [Tet]

- 9 Haar poorte het in die
grond ingesink.^a

Hy het haar grendels ver-
nietig en gebreek.

Haar koning en haar leiers
het onder die nasies be-
land.^b

Daar is geen wet* nie, en
selfs haar profete ontvang
geen visioen van Jehovah
nie.^c

† [Jod]

- 10 Die ouermanne van die
dogter van Sion sit in
stilte op die grond.^d

Hulle gooi stof op hulle
koppe en dra saklinne.^e

Die maagde van Jerusalem
het hulle koppe laat sak.

‡ [Kaf]

- 11 My oë is moeg gehuil.^f

My maag* draai.

My hart is gebreek^g weens
die ondergang van die
dogter van^h my volk,^g

weens die sterwende kin-
ders en babas op die open-
bare pleine van die stad.^h

‡ [Lamed]

- 12 Hulle soek by hulle ma's iets
om te eet of te drink,ⁱ

terwyl hulle soos iemand
wat gewond is, op die
openbare pleine van die
stad verswak.

Hulle sterf in hulle ma's
se arms.

2:9 *Of "onderrigting". 2:11 *Lett.
"ingewande", [#]Lett. "My lewer is op
die aarde uitgestort". ^hDigterlike ver-
persoonliking, moontlik om jammerte
of simpatie uit te druk.

ⲙ [Mem]

- 13 Wat kan ek as 'n voorbeeld gebruik, of wie ly soos jy, o dogter van Jerusalem? Waarmee kan ek jou verge-lyk, sodat ek jou kan ver-troos, o maagdelike dogter van Sion? Want jou wonde is so groot soos die see.^a Wie kan jou genees?^b

Ⲛ [Noen]

- 14 Jou profete het visioene gesien wat vals en mis-leidend was.^c En hulle het nie jou oortre-ding bekend gemaak om te verhoed dat jy in ge-vangenskap gaan nie,^d maar hulle het aangehou om jou van valse en mis-leidende visioene te ver-tel.^e

ⲛ [Samek]

- 15 Almal wat met die pad ver-bygaan, klap hulle hande spottend oor jou.^f Hulle fluit verbaas^g en skud hulle koppe oor die dogter van Jerusalem en sê: "Is dít die stad waarvan hul-le gesê het: 'Dit is absoluut pragtig, die vreugde van die hele aarde?'"^h

ⲛ [Pe]

- 16 Oor jou het al jou vyande hulle monde ooggemaak. Hulle fluit en kners op hulle tande en sê: "Ons het haar verwoes.ⁱ Ons het gewag vir hierdie dag!^j Dit het gekom, en ons het dit gesien!"^k

ⲛ [Ajin]

- 17 Jehovah het gedoen wat hy in gedagte gehad het.^l Hy het gedoen wat hy gesê het,^m wat hy lank gelede beveel het.ⁿ

HFST. 2

a Jer 14:17
Da 9:12

b Jer 30:12

c Jer 2:8
Jer 27:14
Ese 13:2, 3

d Jer 23:14

e Jer 23:32
Jer 27:9
Mi 3:5
Sef 3:4

f Ese 25:2, 6

g 1Kn 9:8
Jer 25:9

h Ps 48:2
Ese 16:14

i Jer 51:34

j Mi 4:11

k Ob 13

l Jer 18:11
Mi 2:3

m 2Kn 23:27

n Le 26:14, 17
De 28:15

Tweede kol.

a Ese 5:11

b Jes 51:20
Klg 4:9
Ese 5:16

c Le 26:29
De 28:53
Jer 19:9
Klg 4:10
Ese 5:10

d Ese 9:6, 7

e De 28:49, 50
2Kr 36:17

f Jer 9:21
Jer 18:21

g Jer 13:14
Jer 21:7
Klg 3:43
Ese 5:11
Ese 9:6

Hy het afgebreek sonder om genade te betoon.^a Hy het jou vyand bly gemaak oor jou. Hy het jou vyande sterk laat word.

Ⲛ [Tsade]

- 18 Hulle hart roep uit na Jehovah, o muur van die dogter van Sion. Laat trane dag en nag soos 'n stroom vloei. Moenie vir 'n oomblik rus nie, moenie ophou huil nie.

ⲛ [Kof]

- 19 Staan op! Roep die hele nag lank uit.* Stort jou hart soos water voor Jehovah uit. Steek jou hande na hom toe uit ter wille van die lewens van jou kinders, wat weens hongersnood sterwend is op elke straathoek.^b

ⲛ [Resj]

- 20 O Jehovah, kyk tog, en sien die een teen wie u so streng opgetree het. Moet vrouens hulle eie na-komelinge, hulle eie ge-sonde kinders, bly eet?^c Of moet priesters en pro-fete in die heiligdom van Jehovah doodgemaak word?^d

ⲛ [Sjin]

- 21 Seuns en ou manne lê dood in die strate.^e My jong vroue* en my jong manne is deur die swaard doodgemaak.^f U het doodgemaak op die dag van u woede. U het doodgemaak sonder om genade te betoon.^g

2:19 *Of "Roep uit gedurende die nag, aan die begin van die wake". 2:21 *Lett. "maagde".

𐤒 [Taw]

22 U laat van alle kante gevaar kom, asof dit 'n feesdag is.^a

Op die dag van Jehovah se woede het niemand ontsnap of oorleef nie.^b

My vyand het dié doodgemaak aan wie ek geboorte gegee het en wat ek grootgemaak het.^c

𐤀 [Alef]

3 Ek is die man wat die ramspoed gesien het wat weens God se woede gekom het.

2 Hy het my uitgedryf, en ek is in die duisternis en nie in die lig nie.^d

3 Ja, die hele dag lank hou hy aan om my te slaan.^e

𐤁 [Bet]

4 Hy het my liggaam en my vel laat wegteer.

Hy het al my bene gebreek.

5 Hy het my beleër. Hy het my met bitter gif^f en probleme omring.

6 Hy het my gedwing om in donker plekke te sit, soos mense wat lankal dood is.

𐤃 [Gimel]

7 Hy het 'n muur om my gebou, sodat ek nie kan ontsnap nie.

Hy het my met swaar koperkettings vasgebind.^g

8 En wanneer ek om hulp smeek, ignoreer* hy my gebed.^h

9 Hy het my paaië met gekapte klippe toegepak.

Hy het my paaië kromgemaak.ⁱ

𐤄 [Dalet]

10 Hy is soos 'n beer wat lê en wag om my aan te val, soos 'n leeu wat my inwag.^j

3:8 *Of "verhinder".

HFST. 2

a De 16:16

b Sef 1:18

c De 28:18

HFST. 3

d De 28:15, 29
Jer 13:16

e Jes 63:10

f Jer 8:14
Jer 9:15
Klg 3:19

g Jer 39:7

h Ps 80:4
Ps 102:2
Jes 1:15
Mi 3:4

i Jes 63:17

j Job 38:39, 40
Ho 5:14
Am 5:18, 19

Tweede kol.

a Jer 6:8
Jer 32:43

b Jer 9:15
Jer 23:15

c Ps 102:9
Jer 6:26

d Ne 9:32
Ps 137:1

e Jer 9:15
Klg 3:5

f Ps 113:5-7

g Ps 130:6-8
Mi 7:7

h Esr 9:8

i Ne 9:31
Jer 30:11
Mi 7:18

j Ps 30:5

k De 32:4
Ps 36:5

l Ps 16:5
Ps 73:26
Ps 142:5

m Ps 130:6-8

11 Hy het my van die pad af gestoot en my uitmeekaargeskeur.*

Hy het my verlate gemaak.^a

12 Hy het sy boog gespan, en hy maak my die teiken vir sy pyl.

𐤒 [He]

13 Hy het my niere met die pyle van sy pylkoker deurboor.

14 Al die volke lag my uit. Die hele dag lank sing hulle oor my.

15 Hy het my met bitter dinge gevul en my als* laat drink.^b

𐤄 [Waw]

16 Hy laat my tande breek weens die klippies wat ek kou.

Hy druk my neer in die as.^c

17 U neem my vrede weg. Ek het vergeet wat goed is.

18 Daarom sê ek: "My prag het vergaan, net soos my hoop op Jehovah."

𐤅 [Zajin]

19 Dink daaraan dat ek swaar kry en nêrens het om te woon nie,^d dink aan die als* en bitter gif.^e

20 U sal beslis aan my dink en neerbuig om my te help.^f

21 Ek sal hieraan bly dink. Daarom sal ek geduldig wag.^g

𐤒 [Get]

22 Danksy Jehovah se lojale liefde het ons nie aan ons einde gekom nie,^h want daar is geen einde aan sy genade nie.ⁱ

23 Dit is elke oggend nuut.^j U getrouheid is oorvloedig.^k

24 "Jehovah is my deel,"^l het ek gesê, "daarom sal ek geduldig op hom wag."^m

3:11 *Of moontlik "my braak laat lê".

3:15, 19 *'n Soort bitter plant.

☞ [Tet]

- 25 Jehovah is goed vir die een wat op hom hoop,^a vir die persoon wat hom bly soek.^b
- 26 Dit is goed om in stilte* te wag^c op die redding van Jehovah.^d
- 27 Dit is goed vir 'n man om die juk in sy jeug te dra.^e
- 28 Laat hy alleen sit en stilbly wanneer Hy dit op hom sit.^f
- 29 Laat hy neerbuig en sy gesig in die stof druk.^g Miskien is daar hoop.^h
- 30 Laat hy sy wang gee vir die een wat hom slaan. Laat hy baie beledigings verduur.

☞ [Kaf]

- 31 Want Jehovah sal ons nie vir ewig verstoot nie.ⁱ
- 32 Hoewel hy droefheid veroorsaak het, sal hy ook genade betoon, want sy lojale liefde is oorloedig.^j
- 33 Want hy wil nie swaarkry of verdriet vir die mens veroorsaak nie.*^k

↳ [Lamed]

- 34 Om al die gevangenes van die aarde^l onder die voete te vertrap,
- 35 om te keer dat 'n man geregtigheid voor die Allerhoogste kry,^m
- 36 om 'n mens in sy regsak te benadeel – sulke dinge word glad nie deur Jehovah goedgekeur nie.

☞ [Mem]

- 37 Wie kan iets sê en dit laat gebeur as Jehovah dit nie beveel het nie?

3:26 *Of "om geduldig". 3:33 *Of "dit is nie in sy hart om . . . te veroorsaak nie".

HFST. 3

- a Ps 25:3
Ps 130:5
Jes 25:9
Jes 30:18
Mi 7:7
- b 1Kr 28:9
Jes 26:9
Sef 2:3
- c Ps 37:7
- d Ps 116:6
- e Ps 119:71
- f Ps 39:8, 9
Klg 3:39
- g Ese 16:63
- h Jl 2:12-14
- i Jer 3:12
Jer 31:37
Jer 32:40
Mi 7:18
- j Ps 30:5
Ps 103:9, 11
Jes 54:7
Jer 31:20
- k Jes 55:7
Ese 33:11
2Pe 3:9
- l Ps 102:19, 20
- m Ps 12:5
Spr 17:15

Tweede kol.

- a Ps 103:10
Mi 7:9
- b Hag 1:5
- c De 4:30
Jes 55:7
Jl 2:13
- d De 4:29
2Kr 7:14
2Kr 34:27
- e Ne 9:26
- f 2Kn 24:3, 4
Da 9:5, 12
- g Spr 15:8
- h De 4:26
Klg 2:2
Ese 9:10
- i Ps 80:4
Spr 15:29
Spr 28:9
Jes 1:15
Mi 3:4
Sag 7:13
- j Klg 2:16
- k De 28:66, 67
l Jes 51:19
Jer 4:6
- m Jer 9:1
- n Jer 14:17
Klg 1:16
- o Ps 80:14
Ps 102:19-21
Jes 63:15
- p Jer 11:22

- 38 Uit die mond van die Allerhoogste kom daar nie goeie sowel as slegte dinge nie.

- 39 Hoekom moet 'n mens kla oor die gevolge van sy sonde?^a

☞ [Noen]

- 40 Laat ons ons lewenswyse ondersoek en bestudeer,^b en laat ons na Jehovah terugkeer.^c
- 41 Laat ons met 'n opregte hart ons hande na God in die hemel uitsteek en sê:^d
- 42 "Ons het gesondig en was opstandig,^e en u het ons nie vergewe nie.^f

☞ [Samek]

- 43 Weens u woede luister u nie na ons gebede nie.*^g

U het ons agtervolg en doodgemaak sonder om genade te betoon.^h

- 44 U het toegang tot u met 'n wolk versper, sodat ons gebede u nie kan bereik nie.ⁱ

- 45 U maak ons die skuim* en die vullis onder die volke."^j

☞ [Pe]

- 46 Al ons vyande maak hulle mond teen ons oop.^j
- 47 Ons is heeltyd angstig en vasgekeer,^k en ons is verlate en verwoes.^l
- 48 Die trane stroom uit my oë weens die verwoesting van die dogter van my volk.^m

☞ [Ajin]

- 49 Ek huil heeltyd, sonder ophou,ⁿ
- 50 totdat Jehovah uit die hemel afkyk en dit sien.^o
- 51 Ek voel hartseer wanneer ek sien wat met die dogters van my stad gebeur het.^p

3:43 *Of "keer u dat ons toegang tot u verkry". 3:45 *Of "afskraapsel".

𐤆 [Tsade]

- 52 My vyande het my sonder rede gejag, soos 'n voël gejag word.
- 53 Hulle het my probeer doodmaak. Hulle het my met klippe bly gooi.
- 54 Waters het oor my kop gevloei, en ek het gesê: "Dit is verby met my!"
- 𐤒 [Kof]
- 55 Uit die dieptes het ek u naam uitgeroep, o Jehovah.^a
- 56 Luister na my stem. Moenie u ore sluit wanneer ek u vra om my te help en verligting te gee nie.
- 57 U het nader gekom op die dag dat ek u aangeroop het. U het gesê: "Moenie bang wees nie."
- 𐤒 [Resj]
- 58 U het my saak verdedig, o Jehovah. U het my lewe losgekoop.^b
- 59 O Jehovah, u het gesien dat ek onregverdig behandel is. Help my asseblief om geregtigheid te kry.^c
- 60 U het al hulle wraak gesien, al hulle planne teen my.
- 𐤆 [Sin of Sjin]
- 61 O Jehovah, u het gehoor hoe hulle my uittart en teen my planne beraam,^d
- 62 hoe hulle teen my praat en heeldag lank oor my fluister.
- 63 Kyk na hulle – of hulle nou sit of staan, hulle spot met my in hulle liedjies!
- 𐤒 [Taw]
- 64 U sal hulle laat boet, o Jehovah, vir wat hulle gedoen het.
- 65 U sal hulle harte verhard. Dit is u vloek oor hulle.
- 66 U sal hulle in u woede agtervolg en hulle onder u he-mele uitroei, o Jehovah.

HFST. 3

a Ps 130:1
Jon 2:1, 2

b Jer 50:34

c Jer 51:36, 37

d Ps 74:18

Tweede kol.

HFST. 4

a 1Kn 6:22

b 1Kn 5:17
1Kn 7:9-12

c Jer 52:12, 13

d Le 26:29
De 28:53-57
Jer 19:9
Klg 4:10

e Job 39:14-16

f Klg 1:11
Klg 2:11, 12

g Jer 52:6

h Am 6:4, 7

i Jer 6:2, 26

j Ese 16:48

k Ge 19:24, 25
Da 9:12

l Nu 6:2

𐤎 [Alef]

- 4 Die goud wat so geblink het, die suiwer goud,^a het dof geword!
Die heilige stene^b lê verstrooi op elke straathoek!^c
- 𐤒 [Bet]
- 2 Die kosbare kinders van Sion, wat so waardevol soos suiwer goud was, word nou as kleipotte beskou, die handewerk van 'n pottebakker!
- 𐤒 [Gimel]
- 3 Selfs jakkalse laat hulle kleintjies aan hulle drink. Maar die dogter van my volk het wreed geword,^d soos volstruise in die wildernis.^e
- 𐤒 [Dalet]
- 4 Babas se tonge sit aan hulle verhemeltes vas weens die dors.
Kinders soebat vir brood,^f maar niemand gee vir hulle iets nie.^g
- 𐤒 [He]
- 5 Dié wat altyd lekkernye ge-eet het, lê uitgehonger* in die strate.^h
Dié wat van kleins af duur[#] klere gedra het,ⁱ omhels ashope.
- 𐤒 [Waw]
- 6 Die straf* van die dogter van my volk is groter as die straf vir die sonde van Sodom,^j wat in 'n oomblik verwoes is, sonder dat iemand haar gehelp het.^k
- 𐤒 [Zajin]
- 7 Haar Nasire'ërs^l was reiner as sneeu, witter as melk. Hulle wange* was rooier as korale. Hulle was soos blink saffiëre.

4:5 *Lett. "verlate". [#]Lett. "helder-rooi". 4:6 *Lett. "oortreding". 4:7 *Lett. "Hulle".

□ [Get]

8 Hulle het swarter as roet geword.

Niemand herken hulle op straat nie.

Hulle is net vel en been.^a

Hulle vel het soos droë hout geword.

□ [Tet]

9 Dié wat weens die swaard gesterf het, is beter af as dié wat weens die hongersnood gesterf het.^b

Hulle het weggeteer asof 'n gebrek aan kos hulle deurboor het.

^ [Jod]

10 Vrouens wat voorheen liefdevol was, het hulle eie kinders gekook.^c

Hulle het hulle kos* geword tydens die ineenstorting van die dogter van my volk.^d

▷ [Kaf]

11 Jehovah het aan sy woede uiting gegee.

Hy het sy brandende woede uitgestort.^e

En hy steek 'n vuur in Sion aan, wat haar fundamente verteer.^f

↳ [Lamed]

12 Die konings van die aarde en al die bewoners van die vrugbare land het nie geglo

dat die teenstander en die vyand by Jerusalem se poorte sou inkom nie.^g

▢ [Mem]

13 Dit het gebeur weens die sondes van haar profete, die oortredings van haar priesters,^h

wat regverdige in haar doodgemaak het.ⁱ

┘ [Noen]

14 Hulle het soos blindes^j in die strate rondgedwaal.

HFST. 4

a Ps 102:5

b Jer 29:17
Jer 38:2

c Le 26:29
Klg 2:20
Klg 4:3

d De 28:54-57

e Jer 6:11
Jer 7:20
Ese 22:31

f De 32:22
2Kn 25:9,10

g De 29:24
1Kn 9:8

h Jer 5:31
Jer 14:14
Mi 3:11
Sef 3:4

i Jer 26:8
Mt 23:31
Han 7:52

j De 28:28
Sef 1:17

Tweede kol.

a Jes 1:15
Jer 2:34

b De 28:25, 65

c Le 26:33
De 28:64
Jer 24:9

d 2Kn 25:18, 21

e Klg 5:12
Ese 9:6

f Klg 1:19

g Jer 37:7
Ese 29:6

h 2Kn 25:5
Klg 3:52

i De 28:49, 50
Jes 5:26
Jer 4:13
Hab 1:8

j Jer 37:1

k 2Kn 25:5, 6
Jer 39:5

Hulle is met bloed besoedel,^a en niemand kan aan hulle klere raak nie.

□ [Samek]

15 “Gee pad! Julle is onrein!” is daar vir hulle geskree. “Gee pad! Gee pad! Moe-nie aan ons raak nie!”

Want hulle het geen blyplek nie en dwaal rond.

Mense van die nasies het gesê: “Hulle kan nie hier by ons bly nie.”^b

▷ [Pe]

16 Jehovah het hulle verstrooi.^c

Hulle het nie meer sy goedkeuring nie.

Mense sal geen respek hê vir die priesters^d en geen eer gee aan die ouermanne nie.”^e

↳ [Ajin]

17 Ons oë is moeg omdat ons verniet op die uitkyk was na hulp.^f

Ons het bly wag op hulp van 'n nasie wat ons nie kon red nie.^g

↳ [Tsade]

18 Ons vyande was op ons spoor soos jagters^h – ons kon nie op ons openbare pleine loop nie.

Ons einde het naby gekom. Ons tyd is om, want ons einde het gekom.

▷ [Kof]

19 Ons agtervolgers was vinniger as die arende van die hemel.ⁱ

Hulle het ons op die berge gejaag. Hulle het ons in die wildernis ingewag.

↳ [Resj]

20 Die asem van ons neusgate, die gesalfde van Jehovah,^j is deur hulle in 'n groot gat gevang.^k

4:10 *Of “kos van vertroosting”.

4:15 *Of “hier as uitlanders bly nie”.

Ons het van hom gesê: “Onder sy beskerming sal ons onder die nasies lewe.”

𐤔 [Sin]

- 21 Juig en wees bly, o dogter van Edom,^a jy wat in die land Us woon.

Maar die beker sal ook vir jou gegee word^b en jy sal dronk word en jou kaal uittrek.^c

𐤍 [Taw]

- 22 O dogter van Sion, die straf vir jou oortreding het tot 'n einde gekom.

Hy sal jou nie weer in ballingskap wegneem nie.^d

Maar hy sal sy aandag op jou oortreding rig, o dogter van Edom.

Hy sal jou sondes openbaar maak.^e

- 5 O Jehovah, dink aan wat met ons gebeur het.

Kyk, en sien ons skande.^f

- 2 Ons erfdeel is aan vreemdelinge gegee, en ons huise aan uitlanders.^g

- 3 Ons het soos weeskinders geword, sonder 'n pa. Ons ma's is soos weduwees.^h

- 4 Ons moet betaal om ons eie water te drinkⁱ en om ons eie hout te gebruik.

- 5 Ons agtervolgers is op ons hakke.

Ons is moeg, maar ons kry geen rus nie.^j

- 6 Ons steek ons hande uit na Egipte^k en na Assi'rië^l so dat ons genoeg kos kan kry.

- 7 Ons voorvaders wat gesondig het, lewe nie meer nie, maar ons moet hulle oortredings dra.

- 8 Knegte heers nou oor ons, en daar is niemand wat ons van hulle kan red nie.

- 9 Wanneer ons kos gaan haal, is ons lewens in gevaar^m

HFST. 4

a Ps 137:7
Ob 12
b Jer 25:17, 20
Ob 16
c Jer 49:10, 12
d Le 26:44
Jes 52:1
Jes 60:18
e Jes 34:5
Ese 25:13
Ese 35:15
Am 1:11
Ob 13

HFST. 5

f Ps 79:4
Klg 2:15
g De 28:30
Ps 79:1
Jer 6:12
Sef 1:13
h Eks 22:24
Jer 18:21
i De 28:15, 48
Jes 3:1
Ese 4:11, 16
j De 28:65
k Jes 30:2
Jer 44:12
Ese 17:17, 18
l 2Kr 28:16
Jer 2:18, 36
m Ese 4:10

Tweede kol.

a 2Kn 25:3
Klg 4:8
b De 28:30
c Jer 39:6
d Jes 47:6
Jer 6:11
Klg 4:16
e Jos 20:4
f Jer 25:10
g Am 8:10
h Klg 1:22
i De 28:65
j Jer 26:18
k Ps 102:12
Ps 145:13
Ps 146:10
l Ps 79:5
Jer 14:19
m De 4:30
Ps 80:3
Ps 85:4
Jer 31:18
n Jer 33:13
o De 28:15

weens die swaard in die wildernis.

- 10 Ons vel het so warm soos 'n oond geword weens die hongerypyne.^a

- 11 Hulle het die vrouens in Sion verneder,* en die maagde in die stede van Juda.^b

- 12 Leiers is aan hulle hand opgehang,^c en daar was geen respek vir ouermanne nie.^d

- 13 Jong manne dra die handmeul, en seuns struikel onder vrage hout.

- 14 Die ouermanne is nie meer in die stadspoort nie,^e en jong manne speel nie hulle musiek nie.^f

- 15 Daar is nie meer vreugde in ons harte nie. Ons dans nie meer nie, ons huil en treur.^g

- 16 Die kroon het van ons kop afgeval. Dit gaan sleg met ons, want ons het gesondig!

- 17 Daarom is ons hart siek,^h en weens hierdie dinge het ons oë dof geword,ⁱ

- 18 weens die berg Sion wat 'n woesteny is.^j Jakkalse dwaal nou daar rond.

- 19 Maar u, o Jehovah, u sit vir ewig op u troon. U troon is van geslag tot geslag.^k

- 20 Hoekom vergeet u ons vir ewig, en hoekom het u ons vir so 'n lang tyd verlaat?^l

- 21 Bring ons terug na u toe, o Jehovah, en ons sal gretig wees om na u toe terug te keer.^m

Maak ons lewe weer soos dit vroeër was.ⁿ

- 22 Maar u het ons heeltemal verwerp.

U lof baie kwaad vir ons.^o

5:11 *Of “verkrag”.

ESEGIËL

O O R S I G

- 1 Esegïel sien in Babilon visioene van God (1-3)
Visioen van Jehovah se hemelse strydwaa (4-28)
Storm, wolk en vuur (4)
Vier lewende wesens (5-14)
Vier wiele (15-21)
Uitgestrekte oppervlak, blink soos ys (22-24)
Jehovah se troon (25-28)
- 2 Esegïel aangestel as profeet (1-10)
"Of hulle nou wil luister of nie" (5)
Boekrol met treurliedere (9, 10)
- 3 Esegïel moet boekrol eet wat God gee (1-15)
Esegïel moet as wag dien (16-27)
Nalatigheid lei tot bloedskulde (18-21)
- 4 Beleëring van Jerusalem uitgebeeld (1-17)
Skuld 390 dae en 40 dae gedra (4-7)
- 5 Val van Jerusalem uitgebeeld (1-17)
Profeet se geskeerde hare in drie dele verdeel (1-4)
Jerusalem erger as nasies (7-9)
Opstandiges op drie maniere gestraf (12)
- 6 Teen berge van Israel (1-14)
Walglïke afgode sal verneder word (4-6)
"Julle sal moet weet dat ek Jehovah is" (7)
- 7 Einde het gekom (1-27)
Unieke ramp (5)
Geld op strate gegooi (19)
Tempel sal onheilïg word (22)
- 8 Esegïel in visioen na Jerusalem geneem (1-4)
Walglïke dinge in tempel gesien (5-18)
Vroue huil oor Tammus (14)
Manne aanbid son (16)
- 9 Ses manne met wapens; man met inkhoring (1-11)
Oordeel sal by heilïgdom begin (6)
- 10 Vuur tussen wiele uitgehaal (1-8)
Beskrywing van gerubs en wiele (9-17)
God se heerlikheid verlaat tempel (18-22)
- 11 Goddelose leiers veroordeel (1-13)
Stad vergelyk met kookpot (3-12)
Belofte van herstel (14-21)
"Nuwe gees" gegee (19)
God se heerlikheid verlaat Jerusalem (22, 23)
Esegïel in visioen terug na Galdea (24, 25)
- 12 Ballingskap simbolies voorspel (1-20)
Bagasie vir ballingskap (1-7)
Hoofman sal in donker vertrek (8-16)
Brood van angstigheid, water van groot bekommernis (17-20)
Bedrieglike spreekwoord vals bewys (21-28)
"Nie een van my woorde sal uitgestel word nie" (28)
- 13 Teen valse profete (1-16)
Gepleisterde mure sal val (10-12)
Teen valse profetesse (17-23)
- 14 Afgodedienswaarders veroordeel (1-11)
Oordeel oor Jerusalem onvermydelik (12-23)
Regverdige Noag, Daniël en Job (14, 20)
- 15 Jerusalem, 'n waardelose wingerdstok (1-8)
- 16 God se liefde vir Jerusalem (1-63)
Gevind as verlate kind (1-7)
God versier haar en maak huweliksverbond (8-14)
Sy word ontrou (15-34)
Gestraf as egbreekster (35-43)
Vergelyk met Samaria en Sodom (44-58)
God onthou sy verbond (59-63)
- 17 Raaisel van twee arende en wingerdstok (1-21)
Sagte takkie sal indrukwekkende sederboom word (22-24)

- 18 Elkeen verantwoordelik vir sy sondes (1-32)
 "Siel wat sondig, sal sterf" (4)
 Seun sal nie skuld vir pa se sonde dra nie (19, 20)
 Geen vreugde in dood van goddelose nie (23)
 Berou lei tot lewe (27, 28)
- 19 Treurlied vir Israel se hoofmanne (1-14)
- 20 Geskiedenis van Israel se opstand (1-32)
 Herstel van Israel belowe (33-44)
 Profesie teen suide (45-49)
- 21 God se swaard van oordeel uitgetrek (1-17)
 Koning van Babilon sal Jerusalem aanval (18-24)
 Goddelose hoofman van Israel sal verwyder word (25-27)
 "Haal die kroon af" (26)
 "Totdat die een kom wat die wetlike reg het" (27)
 Swaard teen Ammoniete (28-32)
- 22 Jerusalem, bloedskuldige stad (1-16)
 Israel soos waardelose metaalskuim (17-22)
 Leiers en volk van Israel veroordeel (23-31)
- 23 Twee susters wat ontrou is (1-49)
 Ohola met Assirië (5-10)
 Oholiba met Babilon en Egipte (11-35)
 Twee susters gestraf (36-49)
- 24 Jerusalem soos geroeste kookpot (1-14)
 Dood van Esegïël se vrou 'n teken (15-27)
- 25 Profesie teen Ammon (1-7)
 Profesie teen Moab (8-11)
 Profesie teen Edom (12-14)
 Profesie teen Filistea (15-17)
- 26 Profesie teen Tirus (1-21)
 "Droogmaakplek vir sleepnette" (5, 14)
 Klippe en grond in water gegooi (12)
- 27 Treurlied oor sinkende skip, Tirus (1-36)
- 28 Profesie teen Tirus se koning (1-10)
 "Ek is 'n god" (2, 9)
 Treurlied oor Tirus se koning (11-19)
 "Jy was in Eden" (13)
 "Gesalfde gerub wat beskerm" (14)
 'Onregverdigheid is in jou gevind' (15)
 Profesie teen Sidon (20-24)
 Israel sal herstel word (25, 26)
- 29 Profesie teen Farao (1-16)
 Egipte sal aan Babilon gegee word as beloning (17-21)
- 30 Profesie teen Egipte (1-19)
 Nebukadnesar se aanval voorspel (10)
 Farao se mag gebreek (20-26)
- 31 Val van Egipte, die hoë sederboom (1-18)
- 32 Treurlied oor Farao en Egipte (1-16)
 Egipte begrawe saam met onbesnedenes (17-32)
- 33 Verantwoordelikhede van wag (1-20)
 Nuus oor Jerusalem se val (21, 22)
 Boodskap aan bewoners van die verwoeste plekke (23-29)
 Mense reageer nie op boodskap nie (30-33)
 Esegïël "soos 'n romantiese liefdeslied" (32)
 "'n Profeet was by hulle' (33)
- 34 Profesie teen Israel se herders (1-10)
 Jehovah se sorg vir sy skape (11-31)
 "My kneg Dawid" sal vir hulle sorg (23)
 "Vredesverbond" (25)
- 35 Profesie teen berge van Seïr (1-15)
- 36 Profesie oor berge van Israel (1-15)
 Herstel van Israel (16-38)
 'Ek sal my groot naam heilig' (23)
 "Soos die tuin van Eden" (35)
- 37 Visioen van vallei van droë beendere (1-14)
 Twee stokke sal saamgevoeg word (15-28)
 Een nasie onder een koning (22)
 Ewige vredesverbond (26)

- 38 Gog se aanval op Israel (1-16)
Jehovah se woede teen Gog (17-23)
'Nasies sal moet weet dat ek Jehovah is' (23)
- 39 Vernietiging van Gog en sy soldate (1-10)
Begrawe in Vallei van Hamon-Gog (11-20)
Herstel van Israel (21-29)
God se gees op Israel uitgestort (29)
- 40 Esegïël in visioen na Israel gebring (1, 2)
Esegïël sien tempelvisioen (3, 4)
Voorhowe en poorte (5-47)
Buitenste oospoort (6-16)
Buitenste voorhof; ander poorte (17-26)
Binneste voorhof en poorte (27-37)
Kamers vir tempeldiens (38-46)
Die altaar (47)
Portaal van tempel (48, 49)
- 41 Heiligdom van tempel (1-4)
Muur en syvertrekke (5-11)
Gebou aan westekant (12)
Geboue gemeet (13-15a)
Binnekant van heiligdom (15b-26)
- 42 Eetkamers (1-14)
Vier sye van tempel gemeet (15-20)
- 43 Jehovah se heerlikheid vul tempel (1-12)
Die altaar (13-27)
- 44 Oospoort moet gesluit bly (1-3)
Wette oor uitlanders (4-9)
Wette vir Leviete en priesters (10-31)
- 45 Heilige bydrae en die stad (1-6)
Hoofman se toegewese deel (7, 8)
Hoofmanne moet eerlik optree (9-12)
Volk se bydraes en die hoofman (13-25)
- 46 Offers by sekere geleenthede (1-15)
Erfdeel van hoofman se besittings (16-18)
Plekke om offers te kook (19-24)
- 47 Water wat uit tempel vloei (1-12)
Water word geleidelik dieper (2-5)
Water van Dooie See gesond gemaak (8-10)
Moerasse nie gesond gemaak nie (11)
Bome vir kos en genesing (12)
Grense van land (13-23)
- 48 Verdeling van land (1-29)
Die 12 poorte van die stad (30-35)
Stad word "Jehovah Is Daar" genoem (35)

1 In die 30ste jaar, op die vyfde dag van die vierde maand, terwyl ek tussen die ballinge^a by die Kebar-rivier was,^b het die hemel oopgegaan, en ek het visioene van God begin sien. **2** Op die vyfde dag van die maand – dit wil sê in die vyfde jaar van die ballingskap van koning Joja'gin^c – **3** het Jehovah met Ese'giël,^{*} die seun van Busi, die priester, by die Kebar-rivier, in die land van die Gal-

1:1 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. 1:3 *Betekent "God versterk".

HFST. 1

a 2Kn 24:12, 14

b Ese 3:15

c 2Kr 36:9, 10

Tweede kol.

a Jer 22:25

b Ese 3:14

c 1Kn 19:11

d Eks 19:18
Ps 97:2, 3

e Ese 8:2

f Ese 10:9, 15
Op 4:6

deërs,^a gepraat. Die hand van Jehovah was daar op hom.^b

4 Terwyl ek gekyk het, het ek gesien hoe 'n stormwind^c uit die noorde kom, en daar was 'n groot wolk en flikkerende vuur^{*d} wat deur 'n helder lig omring was, en in die middel van die vuur was daar iets wat soos elektrum^e gelyk het.^e **5** In die vuur was daar iets wat soos vier lewendes wesens^f gelyk het, en elkeen het die voorkoms van 'n mens gehad. **6** Elkeen

1:4 *Of "en weerlig". [#]'n Blink metaalmengsel van goud en silwer.

het vier gesigte en vier vlerke gehad.^a **7** Hulle voete was reguit, en hulle voetsole was soos die sole van 'n kalf, en hulle het soos blink gevryfde koper geblink.^b **8** Hulle het aan al vier kante mensehande onder hulle vlerke gehad, en al vier het gesigte en vlerke gehad. **9** Hulle vlerke het aan mekaar geraak. Hulle het nie gedraai wanneer hulle beweeg het nie, en hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan.^c

10 Hulle gesigte het só gelyk: Elkeen van die vier het die gesig van 'n mens gehad, die gesig van 'n leeu^d aan die regterkant, die gesig van 'n bul^e aan die linkerkant, en elkeen van die vier het die gesig van 'n arend^f gehad.^g **11** Dit is hoe hulle gesigte was. Hulle vlerke was bo hulle uitgesprei. Elkeen het twee vlerke gehad wat aan mekaar geraak het en twee vlerke wat hulle liggame bedek het.^h

12 Hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan, waarheen die gees hulle ook al wou laat gaan.ⁱ Hulle het nie gedraai wanneer hulle beweeg het nie. **13** En die lewende wesens het soos brandende kole gelyk, en iets wat soos helder vuurfakkele gelyk het, het heen en weer tussen die lewende wesens beweeg, en weerligstrale het uit die vuur geflits.^j **14** En wanneer die lewende wesens heen en weer gegaan het, het dit soos weerligstrale gelyk.

15 Terwyl ek die lewende wesens dopgehou het, het ek een wiel op die grond gesien langs elkeen van die lewende wesens met vier gesigte.^k

16 Die wiele het gegloei soos chrisoliet, en al vier het dieselfde gelyk. Elke wiel was so gemaak dat dit gelyk het asof daar 'n wiel binne-in 'n wiel

HFST. 1

a Jes 6:2
Ese 10:20, 21
Op 4:8

b Da 10:5, 6

c Ese 10:11, 15

d 2Sa 17:10
Spr 28:1

e Spr 14:4

f Job 39:27, 29

g Ese 10:14, 15
Op 4:7

h Jes 6:2

i Ps 103:20
Heb 1:7, 14

j Da 7:9, 10

k Ese 10:9-13
Op 4:7

Tweede kol.

a Spr 15:3
Sag 4:10

b Ese 10:15-17

c Ese 10:1

d Ps 29:3
Ese 43:2
Op 14:2

is.* **17** Wanneer hulle beweeg het, kon hulle in enige van die vier rigtings gaan sonder om te draai. **18** Die wiele was ontsagwekkend hoog, en die buitenste rande van al vier wiele was reg rondom vol oë.^a **19** Wanneer die lewende wesens beweeg het, het die wiele saam met hulle beweeg, en wanneer die lewende wesens van die grond af opgelig is, is die wiele ook opgelig.^b **20** Hulle het gegaan waar die gees hulle laat gaan het, waar die gees ook al gegaan het. Die wiele is saam met hulle opgelig, want die gees wat die lewende wesens gelei het,* was ook in die wiele. **21** Wanneer hulle beweeg het, het die wiele beweeg, en wanneer hulle stilgestaan het, het die wiele stilgestaan, en wanneer hulle van die grond af opgelig is, is die wiele reg langs hulle opgelig, want die gees wat die lewende wesens gelei het, was ook in die wiele.

22 Oor die koppe van die lewende wesens was iets wat soos 'n uitgestrekte oppervlak gelyk het. Dit was ontsagwekkend, blink soos ys, en dit was bokant hulle koppe uitgesprei.^c **23** Onder die uitgestrekte oppervlak was hulle vlerke reguit* en na mekaar toe. Elkeen het twee vlerke gehad om die een kant van hulle liggaam te bedek en twee om die ander kant te bedek. **24** Toe ek die geluid van hulle vlerke gehoor het, het dit geklink soos die geluid van stormwaters, soos die geluid van die Almagtige.^d Wanneer hulle beweeg het, het dit soos 'n leërmag geklink. Wanneer hulle

1:16 *Een wiel was moontlik 90 grade teenoor die ander wiel, met albei wiele op dieselfde vertikale as. **1:20** *Lett. "die gees van die lewende wese". **1:23** *Of moontlik "reguit uitgesprei".

stilgestaan het, het hulle hulle vlerke laat sak.

25 Daar was 'n stem bo die uitgestrekte oppervlak wat oor hulle koppe was. (Wanneer hulle stilgestaan het, het hulle hulle vlerke laat sak.) **26** Bo die uitgestrekte oppervlak wat oor hulle koppe was, was iets wat soos 'n saffiersteen gelyk het,^a en dit het die voorkoms van 'n troon gehad.^b Iemand wat soos 'n mens gelyk het,^c het hoog bo-op die troon gesit. **27** Van sy heupe af boontoe het ek iets gesien wat soos elektrum gegloei het^d en soos 'n vuur uitgestraal het. Van sy heupe af ondertoe het ek iets gesien wat soos vuur gelyk het.^e Daar was 'n glans reg rondom hom **28** wat gelyk het soos 'n reënboog^f in 'n wolk op 'n reënerige dag. Dit was hoe die helder lig rondom hom gelyk het. Dit het soos die heerlikheid van Jehovah gelyk.^g Toe ek dit sien, het ek met my gesig na die grond toe neergeval, en ek het die stem begin hoor van iemand wat praat.

2 Toe het hy vir my gesê: "Mensekind,* staan op jou voete sodat ek met jou kan praat."^h **2** Toe hy met my praat, het gees in my gekom en my op my voete laat staanⁱ sodat ek die Een kon hoor wat met my praat.

3 Hy het vir my gesê: "Mensekind, ek stuur jou na die Israëliete toe,^j na opstandige nasies wat teen my in opstand gekom het.^k Hulle en hulle voorvaders het teen my oortree tot vandag toe.^l **4** Ek stuur jou na kinders toe wat uitdagend en hardkoppig is,^m en jy moet vir hulle sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê.' **5** Hul-

2:1 *Die eerste van die 93 keer dat hierdie term in Esegieël voorkom. **2:4** *Of "wat hard van gesig en hart is".

HFST. 1

- a Eks 24:10
- Ps 96:6
- Ese 10:1
- b 1Kn 22:19
- Ps 99:1
- Jes 6:1
- Op 4:2
- c Da 7:9
- d Ese 8:2
- e De 4:24
- Ps 104:1, 2
- f Op 4:3
- g Eks 24:16, 17
- Ese 8:4

HFST. 2

- h Da 10:11
- i Ese 3:24
- j 2Kr 36:15
- Ese 33:7
- k Jes 1:4
- Jer 16:12
- l De 9:24
- Ps 78:8
- Jer 3:25
- Han 7:51
- m Ese 3:7

Tweede kol.

- a Ese 12:2
- b Ese 3:11
- Ese 33:4, 15
- Ese 33:33
- Joh 15:22
- Han 20:26
- c 2Kn 1:15
- Lu 12:4
- d Mi 7:4
- e Jes 51:7
- f Jer 1:8
- Ese 3:9
- g Jer 1:17
- h Jer 15:16
- Op 10:9, 10
- i Jer 1:9
- j Ese 3:1
- k Op 5:1
- l Ese 19:1

HFST. 3

- m Op 10:9, 10
- n Ps 119:103
- Jer 15:16
- Op 10:9, 10

le is 'n opstandige huis,^a maar of hulle nou wil luister of nie, hulle sal beslis weet dat daar 'n profeet onder hulle was.^b

6 "Maar jy, mensekind, moenie vir hulle bang wees nie,^c en moenie vir hulle woorde bang wees nie, al is jy omring deur dorings en dissels^d en al woon jy onder skerpioene. Moenie vir hulle woorde bang wees nie,^e en moenie dat hulle gesigte jou afskrik nie,^f want hulle is 'n opstandige huis. **7** En jy moet my woorde aan hulle bekend maak, of hulle nou luister of nie, want hulle is 'n opstandige volk.^g

8 "Maar jy, mensekind, luister na wat ek vir jou sê. Moenie opstandig word soos hierdie opstandige huis nie. Maak jou mond oop en eet wat ek jou gee."^h

9 Toe ek kyk, het ek 'n hand gesien wat na my toe uitgesteek isⁱ met 'n boekrol daarin.^j

10 Hy het dit voor my oopgerol, en ek het gesien dat daar op die voorkant en op die agterkant geskryf is.^k Dit het treurliedere, 'n gekerm en 'n gekla bevat.^l

3 Toe het hy vir my gesê: "Mensekind, eet wat voor jou is.* Eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Israel."^m

2 Toe het ek my mond oopgemaak, en hy het my hierdie boekrol laat eet. **3** Hy het vir my gesê: "Mensekind, eet hierdie boekrol wat ek vir jou gee sodat jou maag kan vol word." Toe het ek dit begin eet, en dit was so soet soos heuning in my mond.ⁿ

4 Hy het vir my gesê: "Mensekind, gaan na die huis van

2:6 *Of moontlik "al is die mense hardkoppig en soos iets wat jou steek". **3:1** *Lett. "eet wat jy vind".

Israel, en jy moet my woorde aan hulle oordra. **5** Want jy word nie gestuur na 'n volk wat 'n onverstaanbare of onbekende taal praat nie, maar na die huis van Israel. **6** Jy word nie gestuur na baie volke wat onverstaanbare of onbekende tale praat nie. As ek jou na hulle toe gestuur het, sou hulle na jou geluister het.^a **7** Maar die huis van Israel sal weier om na jou te luister, want hulle wil nie na my luister nie.^b Die hele huis van Israel is hardkoppig, en hulle harte is verhard.^c **8** Kyk! Ek het jou gesig net so hard soos hulle gesigte gemaak en jou voorkop net so hard soos hulle voorkoppe.^d **9** Ek het jou voorkop soos 'n diamant gemaak, harder as vuurklip.^e Moenie vir hulle bang wees nie, en moenie dat hulle gesigte jou afskrik nie,^f want hulle is 'n opstandige huis.”

10 Hy het vir my gesê: “Mensekind, laat al my woorde diep in jou hart insink en luister daarna. **11** Gaan na die kinders van jou volk wat in ballingskap is,^g en praat met hulle. Sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê,’ of hulle nou wil luister of nie.”^h

12 Toe het 'n gees my opgetel,ⁱ en ek het 'n harde gedreun agter my gehoor wat gesê het: “Mag die heerlijkheid van Jehovah vanuit sy plek geloof word.” **13** Ek het die geluid gehoor van die vlerke van die lewende wesens wanneer hulle aan mekaar geraak het,^j en die geluid van die wiele langs hulle,^k en die geluid van 'n harde gedreun. **14** En die gees het my opgetel en my weggenem. Bitter ontsteld en woedend* het ek weggegaan, en die hand van Jehovah was sterk op my. **15** Toe

3:14 * Lett. “in die woede van my gees”.

HFST. 3

a Jon 3:4, 5
Mt 11:21

b Lu 10:16

c Eks 34:9
Jer 3:3
Jer 5:3

d Jer 1:18, 19
Jer 15:20
Mi 3:8

e Jes 50:7

f Jer 17:18

g 2Kn 24:12, 14

h Ese 2:5

i Ese 8:3

j Ese 1:24

k Ese 10:16

Tweede kol.

a Ese 1:3

b Jer 23:9

c Jes 21:8
Jes 62:6
Jer 6:17

d Jes 58:1
Ese 33:7

e Han 2:40
1Ti 4:16

f Ese 33:4

g Ese 33:8

h Ese 33:9
Han 18:6
Han 20:26

i Ese 18:24, 26
Ese 33:12, 18

j Le 19:17
Ese 33:6
Heb 13:17

k Spr 17:10
Ese 33:14, 15
Jak 5:19, 20

het ek na die ballinge* in Tel-Abib gegaan, wat by die Kebarrivier^a gewoon het, en ek het sewe dae lank by hulle gebly, en dit was asof ek in 'n dwaal was.^b

16 Ná sewe dae het Jehovah met my gepraat en gesê:

17 “Mensekind, ek het jou as 'n wag vir die huis van Israel aangestel,^c en wanneer jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle namens my waarsku.^d

18 Wanneer ek vir iemand wat goddeloos is, sê: ‘Jy sal beslis sterf,’ maar jy niks sê om die goddelose te waarsku dat hy sy goddelose weg moet verlaat sodat hy kan bly lewe nie,^e dan sal hy vir sy sonde sterf omdat hy goddeloos is,^f maar ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.*^g **19** Maar as jy iemand wat goddeloos is, waarsku en hy nie sy goddeloosheid en sy goddelose weg verlaat nie, dan sal hy vir sy sonde sterf, maar jy sal beslis jou lewe red.^h

20 Maar wanneer iemand wat regverdig is, sy regverdige weg verlaat en doen wat verkeerd is,ⁱ sal ek 'n struikelblok voor hom sit, en hy sal sterf.^j As jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy vir sy sonde sterf, en sy regverdige dade sal nie onthou word nie, maar ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.*^j **21** Maar as jy iemand wat regverdig is, gewaarsku het dat hy nie moet sondig nie, en hy sondig nie, dan sal hy beslis bly lewe omdat hy gewaarsku is,^k en jy sal jou eie lewe red.”

22 Die hand van Jehovah was daar op my, en hy het vir my gesê: “Staan op, gaan na die valleivlakte, en ek sal daar met

3:15 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. **3:18, 20** *Of “sy bloed van jou hand terugeis”. **3:20** *Of “onreg doen”.

jou praat.” **23** Toe het ek opgestaan en na die valleivlakte gegaan, en kyk! die heerlikheid van Jehovah was daar,^a soos die heerlikheid wat ek by die Kebar-rivier gesien het,^b en ek het met my gesig na die grond toe neergeval. **24** Toe het gees in my gekom en my op my voete laat staan,^c en hy het met my gepraat en gesê:

“Gaan sluit jou toe in jou huis. **25** En mensekind, hulle sal toue om jou sit en jou vasbind sodat jy nie na hulle toe kan gaan nie. **26** En ek sal jou tong aan jou verhemelte laat vassit, en jy sal beslis stom word, en jy sal hulle nie kan te regwys nie, want hulle is ’n opstandige huis. **27** Maar wanneer ek met jou praat, sal ek jou mond open, en jy moet vir hulle se:^d ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê.’ Laat die een wat luister, luister,^e en laat die een wat weier om te luister, weier, want hulle is ’n opstandige huis.’

4 “En jy, mensekind, vat ’n baksteen en sit dit voor jou neer. Graveer ’n stad daarop – Jerusalem. **2** Beleër dit,^g bou ’n beleëringsmuur daarteen,^h rig ’n beleëringswal daarteen op,ⁱ stel kampe op en omring die stad met stormramme.^j **3** Neem ’n ysterbakplaat, en sit dit as ’n ystermuur tussen jou en die stad. Hou dan jou oë op die stad, en dit sal beleër word. Jy moet dit beleër. Dit is ’n teken vir die huis van Israel.^k

4 “Dan moet jy op jou linker-sy lê, en jy moet die skuld van die huis van Israel op jouself* neem.^l Jy sal hulle skuld dra vir die getal dae dat jy op jou sy lê. **5** Jy moet dit 390 dae lank

4:4 *Lett. “dit”, d.w.s. Esegïël se linkersy.

HFST. 3

a Ese 1:27, 28

b Ese 1:1

c Ese 2:2

Da 10:19

d Ese 24:27

Ese 33:22

e Mt 11:15

f Jes 30:9

HFST. 4

g 2Kn 24:11

Jer 39:1

h 2Kn 25:1

i Jer 6:6

Jer 32:24

j Ese 21:22

k Ese 12:6

Ese 24:24

l 2Kn 17:21

Tweede kol.

a Nu 14:34

1Kn 12:19, 20

b 2Kn 23:27

c Jer 52:4

d Ese 4:5

e Ho 9:3

f Eks 22:31

Le 7:24

Le 11:40

doen, in ooreenstemming met die jare van hulle skuld,^a en jy sal die skuld van die huis van Israel dra. **6** En jy moet dit voltooi.

“Dan moet jy ’n tweede keer gaan lê, dié keer op jou regtersy, en jy sal die skuld van die huis van Juda^b 40 dae lank dra. ’n Dag vir ’n jaar, ’n dag vir ’n jaar het ek jou gegee. **7** En jy moet jou oë op die beleëring van Jerusalem^c hou met jou arm ontbloot, en jy moet daarteen profeteer.

8 “Kyk! ek sal jou met toue vasbind sodat jy nie van jou een sy na jou ander sy kan draai nie, totdat jy die dae van jou beleëring voltooi het.

9 “En jy moet koring, gars, boerbone, lensies, giers en spelt neem en dit in een houer sit en daarvan vir jou brood maak. Vir die getal dae dat jy op jou sy lê, 390 dae, moet jy dit eet.^d **10** Jy moet jou kos afweeg en 20 sikkels* per dag eet. Jy moet dit op vasgestelde tye eet.

11 “En jy moet die water wat jy drink, afmeet, ’n sesde van ’n hin.* Jy moet dit op vasgestelde tye drink.

12 “Jy moet dit as ’n ronde garsbrood eet. Jy moet dit voor hulle oë bak op ’n vuur wat van droë ontlasting van mense gemaak is.” **13** Jehovah het verder gesê: “Dit is hoe die Israeliete hulle brood sal eet – onrein – onder die nasies waar ek hulle sal verstrooi.”^e

14 Ek het toe gesê: “Nie dit nie, Soewereine Heer Jehovah! Van jongs af tot nou toe is ek nie onrein gemaak deur vleis te eet van ’n dier wat dood gevind is of wat verskeur is nie.^f En

4:10 *Omtrent 230 g. Sien Aanh. B14.

4:11 *Omtrent 0,6 l. Sien Aanh. B14.

ek het nog nooit enige onrein* vleis geëet nie.”^a

15 Toe het hy vir my gesê: “Nou goed, ek sal jou toelaat om beesmis in plaas van ontlasting van mense te gebruik, en jy moet jou brood daarop bak.”

16 Toe het hy vir my gesê: “Mensekind, ek gaan nou die voedselvoorraad laat opraak* in Jerusalem.^b Hulle sal die brood wat hulle afgeweeg het, met groot bekommernis eet,^c en hulle sal die water wat hulle afgemeet het, met groot angstigheid drink.^d **17** Dit sal gebeur sodat hulle ’n gebrek aan brood en water sal hê en sodat hulle mekaar geskok sal aankyk en weens hulle sondes sal wegteer.

5 “Jy, mensekind, neem vir jou ’n skerp swaard om as ’n haarkapper se skeermes te gebruik. Skeer jou kop en jou baard, en neem dan ’n weegskaal om die hare te weeg en te verdeel. **2** Jy moet ’n derde daarvan in die stad met vuur verbrand wanneer die dae van die beleëring voltooi is.^e Dan moet jy nog ’n derde neem en dit rondom die stad* met ’n swaard slaan,^f en jy moet die laaste derde in die wind strooi, en ek sal ’n swaard uittrek om hulle agterna te sit.^g

3 “Jy moet ’n bietjie van die hare neem en dit in die voue* van jou kledingstuk toebind.

4 En neem nog ’n bietjie en gooi dit in die vuur en laat dit tot as verbrand. Hierdie vuur sal na die hele huis van Israel versprei.^h

5 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Dit is Jerusa-

4:14 *Of “bedorwe”. **4:16** *Lett. “ek sal die broodstokke breek”. Moontlik stokke waaraan ringvormige brode gehang is vir bewaring. **5:2** *Lett. “haar”. **5:3** *Of “slippe”.

HFST. 4

a De 14:3
Jes 65:4
Jes 66:17

b Le 26:26
Jes 3:1
Ese 5:16

c 2Kn 25:3
Jer 37:21
Klg 1:11
Klg 4:9
Klg 5:9, 10

d Ese 12:18

HFST. 5

e Jer 9:21
Ese 4:8

f Jer 15:2

g Le 26:33
Ese 5:12

h Jer 4:4

Tweede kol.

a Ese 16:46, 47

b 2Kn 21:9, 11
Jer 2:11

c Jer 21:5
Ese 15:7

d De 29:22, 24
1Kn 9:8
Klg 2:15

e Klg 4:6
Da 9:12

f Le 26:29
Jer 19:9
Klg 4:10

g Le 26:33
De 28:64

h Le 20:3
2Kn 21:1, 7
2Kr 36:14
Jer 32:34

i Klg 2:21
Ese 7:4

j Jer 14:12
Jer 15:2
Jer 21:9

lem. Ek het haar in die middel van die nasies geplaas, met lande rondom haar. **6** Maar sy het in opstand gekom teen my regterlike bevel en my wetsbepalings, en sy was goddeloser as al die nasies en die lande rondom haar.^a Want hulle het my regterlike bevel verwerp, en hulle was nie gehoorsaam aan my wetsbepalings nie.^b

7 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: ‘Julle was goddeloser as die nasies rondom julle en julle was nie gehoorsaam aan my wetsbepalings nie en het nie my regterlike bevel uitgevoer nie, maar julle het eerder die regterlike bevel van die nasies rondom julle uitgevoer.^b **8** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: “Kyk, ek is teen jou, o stad,^c en ek sal jou self voor die oë van die nasies oordeel en straf.^d **9** En as gevolg van al jou afskuwelike gebruike sal ek in jou doen wat ek nog nooit gedoen het nie en wat ek nooit weer sal doen nie.^e

10 ““Daarom sal pa’s hulle kinders in die stad eet,^f en kinders sal hulle pa’s eet, en ek sal die mense in die stad oordeel en straf en die res van hulle in alle rigtings* verstrooi.”^g

11 ““Daarom, so waar as wat ek lewe,^h sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘omdat jy my heiligdom onrein gemaak het met al jou walglike afgode en met al jou afskuwelike gebruike,^h sal ek jou verwerp,ⁱ en ek sal nie jammer voel nie, en ek sal geen medelye^Δ betoon nie.^j

12 ’n Derde van jou sal sterf deur ’n vreeslike siekte* of deur hongersnood. Nog ’n derde sal rondom jou met die swaard doodgemaak word.^j En ek sal

5:10 *Lett. “na elke wind”. **5:11** *Of “vermind”. [#]Lett. “my oog”. ^ΔSien Woordelys. **5:12** *Of “pessiekte”.

die laaste derde in alle rigtings* verstrooi, en ek sal 'n swaard uittrek om hulle agterna te sit.^a **13** Dan sal my woede tot 'n einde kom en my woede teen hulle sal bedaar, en ek sal tevrede wees.^b Nadat my woede teen hulle bedaar het, sal hulle moet weet dat ek, Jehovah, gepraat het omdat ek aandring op uitsluitlike toegewydheid.^c

14 “En ek sal jou 'n verwoeste plek en 'n bespotting maak onder die nasies wat rondom jou is en in die oë van almal wat verbygaan.^d **15** Al die nasies sal jou bespot en op jou neersien.^e En jy sal 'n waarskuwende voorbeeld en iets skokkends vir hulle word wanneer ek my oordeel in woede uitvoer en jou in my woede straf. Ek, Jehovah, het dit gesê.

16 “Ek sal die dodelike pyle van die hongersnood teen hulle stuur om hulle te vernietig. Die pyle wat ek sal stuur, sal julle vernietig.^f Ek sal die hongersnood vir julle vererger deur julle voedselvoorraad te laat opraak.^g **17** Ek sal hongersnood en gevaarlike wilde diere teen julle stuur,^h en hulle sal julle van kinders beroof. Vreeslike siektes sal julle teister, en ek sal julle met die swaard laat doodmaak.ⁱ Ek, Jehovah, het dit gesê.”

6 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, draai jou gesig na die berge van Israel en profeteer teen hulle. **3** Jy moet sê: ‘O berge van Israel, hoor die woord van die Soewereine Heer Jehovah: Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir die berge, vir die heuwels, vir die stro-

5:12 *Lett. “na elke wind”. 5:16 *Lett. “deur julle broodstokke te breek”. Moontlik stokke waaraan ringvormige brode gehang is vir bewaring.

HFST. 5

a Le 26:33
Jer 9:16
Jer 42:16

b Ese 16:42

c Eks 20:3, 5
Eks 34:14
De 6:15

d De 28:37
1Kn 9:7
Ne 2:17

e Ps 79:4
Jer 24:9
Klg 2:15
Klg 3:61, 62

f De 32:23

g Le 26:26
Ese 4:16

h Le 26:22
De 32:24
Ese 14:21
Ese 33:27

i Ese 21:3

Tweede kol.

HFST. 6

a Jes 27:9

b Le 26:30

c Jer 8:1, 2

d Jer 2:15
Jer 32:29
Mi 3:12

e Ese 16:39

f Jer 14:18

g Ese 7:4

h Jer 30:10
Jer 44:28
Ese 14:22

i De 30:1, 2
Ps 137:1

j Ps 78:40, 41
Jes 63:10

k Nu 15:39

l Ese 20:43
Ese 36:31

m Ese 33:29
Da 9:12
Sag 1:6

me en vir die valleie sê: “Kyk! Ek sal 'n swaard teen julle bring, en ek sal julle offerhoogtes vernietig. **4** Julle altare sal afgebreek word en julle reukwerkstaanders sal gebreek word,^a en ek sal julle lyke voor julle walglike afgode* gooi.^b **5** Ek sal die lyke van die Israëliete voor hulle walglike afgode gooi, en ek sal al julle beendere rondom julle altare strooi.^c **6** Op al die plekke waar julle woon, sal die stede verwoes word^d en die offerhoogtes afgebreek en verwoes word.^e Julle altare sal afgebreek en stukkend geslaan word, julle walglike afgode sal vergaan, julle reukwerkstaanders sal afgebreek word en die werke van julle hande sal uitgewis word. **7** En dié wat doodgemaak is, sal tussen julle val,^f en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.^g

8 ““Maar ek sal 'n oorblyfsel laat oorbly, want party sal wegkom van die swaard wanneer julle in die lande verstrooi word.^h **9** En dié wat wegkom, sal aan my dink wanneer hulle tussen die nasies is waar hulle gevange geneem is.ⁱ Hulle sal besef dat my hart gebreek was omdat hulle ontroue* hart van my weggedraai het^j en hulle oë vol verlange na hulle walglike afgode gekyk het.^k Hulle sal skaam kry oor al die slegte en afskuwelike dinge wat hulle gedoen het, en hulle sal dit afstootlik vind.^l **10** Hulle sal moet weet dat ek Jehovah is en dat dit nie net leë dreigemente was toe ek gesê het dat ek hierdie ramspoed oor hulle sal bring nie.”^m

6:4 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan 'n woord vir “ontlusting” en word gebruik om veragting aan te dui. **6:9** *Of “onsedelike”.

11 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Klap jou hande en stamp met jou voet en kla oor al die slegte en afskuwelike dinge wat die huis van Israel gedoen het, want hulle sal doodgaan deur die swaard, deur hongersnood en deur vreeslike siektes.’^a **12** Die een wat ver weg is, sal deur vreeslike siektes doodgaan, die een wat naby is, sal deur die swaard doodgaan en hy wat van hierdie dinge wegom en oorbly, sal deur hongersnood doodgaan, totdat my woede teen hulle bedaar het.^b **13** En julle sal moet weet dat ek Jehovah is^c wanneer hulle lyke tussen hulle walglike afgode lê, rondom hulle altare,^d op elke hoë heuwel, op al die bergtoppe, onder elke blaarryke boom en onder die takke van groot bome, oral waar hulle lekkerruik-offerandes* aan al hulle walglike afgode geoffer het.^e **14** Ek sal my hand teen hulle uitsteek en die land verwoes. Al die plekke waar hulle woon, sal meer verlate wees as die wildernis naby Dibla. En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

7 Jehovah het weer met my gepraat en vir my gesê: **2** “Mensekind, dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir die land van Israel sê: “n Einde! Die einde het oor die vier uithoeke van die land gekom. **3** Die einde het nou vir jou aangebreek, en ek sal my woede teen jou loslaat, en ek sal jou volgens jou dade oordeel en jou verantwoordelik hou vir al die afskuwelike dinge wat jy gedoen het. **4** Ek* sal nie vir jou jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye[#] betoon nie,^f want

6:13 *Of “n rustige geur”. **7:4, 9** *Lett. “My oog”. **7:4, 9** *Sien Woordeslys.

HFST. 6

a Jer 15:2
Jer 16:4
Ese 5:12

b Ese 5:13

c Ese 12:15

d Jer 8:2

e Ese 20:28

HFST. 7

f Ese 5:11

Tweede kol.

a Jer 16:18
Ese 16:43

b Ese 6:13

c 2Kn 21:12
Da 9:12

d Sef 1:14

e 2Kr 34:21

f Jer 7:20
Ese 5:13

g Jer 13:14

h Jes 66:6
Ese 33:29

i Sef 1:14

j Jes 59:6
Jer 6:7
Mi 6:12

ek sal die gevolge van jou dade oor jou bring, en jy sal die gevolge dra vir die afskuwelike dinge wat jy gedoen het.^a En jy sal moet weet dat ek Jehovah is.’^b

5 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Kyk! Daar kom ’n ramp, ’n ramp soos nog nooit tevore nie.’^c **6** ’n Einde kom. Die einde moet kom. Dit sal teen jou opstaan.* Kyk! Dit kom. **7** Jou beurt* het gekom, jy wat in die land woon. Die tyd het gekom, die dag is naby.^d Daar is verwarring in plaas van vreugdevolle uitroepes op die berge.

8 “Binnekort sal ek met woede teenoor jou optree,^e en ek sal my woede heeltemal teen jou loslaat,^f en ek sal jou volgens jou dade oordeel en jou verantwoordelik hou vir al die afskuwelike dinge wat jy gedoen het. **9** Ek* sal nie jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye[#] betoon nie.^g Ek sal die gevolge van jou dade oor jou bring, en jy sal die gevolge dra vir die afskuwelike dinge wat jy gedoen het. En jy sal moet weet dat ek, Jehovah, jou straf.^h

10 “Kyk, die dag! Kyk, dit kom! Jy beurt* het gekom. Die staf het bloeiesels gekry, en vermetelheid[#] het uitgespruit. **11** Geweld het gegroei tot ’n staf van goddeloosheid.ⁱ Nie hulle of hulle rykdom of hulle skares of hulle belangrikheid sal oorbly nie. **12** Die tyd sal kom, die dag sal aanbreek. Laat die een wat koop, nie bly wees nie, en laat die een wat verkoop, nie treur nie, want daar is woede teen hulle hele ska-

7:6 *Lett. “wakker word”. **7:7, 10** *Of moontlik “Die sierkrans”. **7:10** [#]Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

re.^a **13** Want die een wat verkoop, sal nie terugkeer na wat verkoop is nie, al word sy lewe gespaar, want die visioen is teen hulle almal. Niemand sal terugkeer nie, en as gevolg van* sy sonde sal niemand sy lewe bewaar nie.

14 "Hulle het op die trompet geblaas,^b en almal is gereed, maar niemand gaan oorlog toe nie, want my woede is teen die hele skare.^c **15** Die swaard is buite,^d en die vreeslike siektes en die hongersnood is binne. Elkeen wat in die veld is, sal deur die swaard doodgemaak word, en almal in die stad sal deur die hongersnood en die vreeslike siektes sterf.^e **16** Die oorlewendes wat dit regkry om te ontsnap, sal na die berge gaan, en soos die duiwe van die valleie sal elkeen oor sy sonde kla.^f **17** Al hulle hande sal slap hang, en al hulle knieë sal van water drup.^g **18** Hulle het saklinne aangetrek,^h en hulle almal bewe verskriklik. Almal sal skaam kry, en almal se koppe sal kaal wees.ⁱ

19 "Hulle sal hulle silwer op die strate gooi, en hulle goud sal vir hulle iets walgliks word. Nie hulle silwer of hulle goud sal hulle op die dag van Jehovah se woede kan red nie.^j Hulle sal nie versadig word nie, en hulle mae sal ook nie vol wees nie, want dit* het 'n struikelblok geword en die oorsaak van hulle sonde. **20** Hulle was trots op hoe mooi hulle versierings was, en hulle het hulle afskuwe-

7:12 *D.w.s., nie dié wat eiendom koop of verkoop sal daarby baat vind nie, want die vernietiging sal oor almal kom. **7:13** *Of moontlik "deur". **7:17** *D.w.s., hulle sal uit vrees urineer. **7:18** *D.w.s., hulle koppe sal geskeer wees omdat hulle treur. **7:19** *D.w.s. hulle silwer en goud.

HFST. 7

a Sef 1:18

b Jer 4:5

c Jer 7:20
Jer 12:12

d Le 26:25

e Jer 14:18
Ese 5:12

f Jes 59:11

g Ese 21:7

h Jes 3:24

i Jes 22:12

j Spr 11:4
Sef 1:18

Tweede kol.

a 2Kn 21:1, 7
Jer 7:30

b Jer 18:17

c 2Kl 36:19
Klg 1:10d Jer 39:6, 7
Klg 3:7e 2Kn 21:16
2Kn 24:3, 4
Jer 2:34
Ese 9:9f Jes 59:6
Mi 2:2g De 28:48-51
Ese 21:31
Hab 1:6h Jer 6:12
Klg 5:2

i Ese 21:2

j Jes 57:21
Jer 8:15k Jer 21:1, 2
Jer 37:17l Ps 74:9
Klg 2:9
Ese 20:3

m Jer 52:10

n Ese 6:13

like beelde daarmee* gemaak, hulle walglike afgode.^a Daarom sal ek dit vir hulle iets afskuweliks maak. **21** Ek sal dit* in die hand van die uitlanders gee, en vir die goddeloses van die aarde, en hulle sal dit onheilig.

22 "Ek sal my gesig van hulle af wegdraai,^b en hulle sal my kosbare plek* onheilig, en rowers sal daar ingaan en dit onheilig.^c

23 "Maak die kettings,^d want die land is vol bloedbevekte oordeel^e en die stad is vol geweld.^f **24** Ek sal die ergstes van die nasies inbring,^g en hulle sal hulle huise vat,^h en ek sal 'n einde maak aan die trots van die sterkes, en hulle heiligdomme sal onheilig word.ⁱ **25** Wanneer hulle angs kom, sal hulle vrede soek, maar dit sal nie daar wees nie.^j **26** Daar sal ramp ná ramp kom, en die een berig ná die ander, en mense sal 'n visioen by 'n profeet soek,^k maar die wet* sal nie meer by 'n priester wees nie, en raad nie meer by die ouermanne nie.^l **27** Die koning sal treur,^m en die hoofman sal alle moed verloor,ⁿ en die hande van die volk van die land sal bewe van vrees. Ek sal hulle behandel volgens hulle daade, en ek sal hulle oordeel soos hulle geoordeel het. En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is."ⁿ

8 In die sesde jaar, in die sesde maand, op die vyfde dag van die maand, toe ek in my huis gesit het en die ouermanne

7:20 *D.w.s. hulle voorwerpe van silwer en goud. **7:21** *D.w.s. hulle silwer en goud wat gebruik is om afgode mee te maak. **7:22** *Of "verborge plek", waarskynlik die binneste deel van Jehovah se heiligdom. **7:23** *D.w.s. kettings van gevangenskap. **7:26** *Of "onderrigting". **7:27** *Lett. "hom met verlatenheid beklee".

van Juda voor my gesit het, het die hand van die Soewerene Heer Jehovah my geneem. **2** Terwyl ek gekyk het, het ek iemand gesien wat soos vuur gelyk het. Van sy heupe af onder toe was daar vuur,^a en van sy heupe af boontoe was sy voorkoms helder, soos die gloed van elektrum.*^b **3** Toe het hy iets wat soos 'n hand gelyk het, na my toe uitgesteek en my aan die hare gevat, en 'n gees het my tussen die aarde en die hemel gedra en my deur middel van die visioene van God na Jerusalem geneem, na die ingang van die binneste poort^c wat noord kyk, waar 'n afgodsbeeld staan wat God se woede laat ovlam.*^d **4** En kyk! die heerlijkheid van die God van Israel was daar,^e soos die verskyning wat ek in die valleivlakte gesien het.^f

5 Hy het toe vir my gesê: "Mensekind, kyk asseblief na die noorde." Toe het ek na die noorde gekyk, en die afgodsbeeld* was aan die noordekant van die altaarpoort in die ingang. **6** En hy het vir my gesê: "Mensekind, sien jy watter verskriklike, afskuwelike dinge die huis van Israel hier doen,^g dinge wat my ver van my heiligdom af laat weggaan?^h Maar jy sal afskuwelike dinge sien wat selfs nog erger is."

7 Toe het hy my na die ingang van die voorhof geneem, en toe ek kyk, het ek 'n gat in die muur gesien. **8** Hy het vir my gesê: "Mensekind, breek asseblief deur die muur." Toe het ek deur die muur gebreek, en ek het 'n ingang gesien. **9** Hy het vir my gesê: "Gaan in en

8:2 *'n Blink metaalmengsel van goud en silwer. **8:3** *Of "waar die simbool van jaloesie staan wat jaloesie opwek". **8:5** *Of "simbool van jaloesie".

HFST. 8

a Da 7:9

b Ese 1:4, 27

c Jer 20:2
Ese 9:2

d De 32:16

e Eks 40:34

f Ese 1:27, 28

g 2Kr 36:14

h Jer 26:4, 6

Tweede kol.

a Le 11:10

b Eks 20:4, 5

c 2Kn 22:3, 4
2Kn 25:22
Jer 26:24

d Ese 16:17, 18

e Jes 29:15
Ese 9:9

f 2Kr 36:14

g 2Kr 4:9

h De 4:19
2Kn 17:16
Jer 8:1, 2

sien watter slegte, afskuwelike dinge hulle hier doen." **10** Toe het ek ingegaan en allerhande beelde van kruipende en afskuwelike diere^a gesien, en al die walglike afgode* van die huis van Israel.^b Hulle was oral op die muur gegraveer. **11** En 70 ouermanne van die huis van Israel het voor hulle gestaan, en Jaasan'ja, die seun van Safan,^c het tussen hulle gestaan. Elkeen het sy vuurbak in sy hand gehad, en die rook van die reukwerk het in die lug opgegaan.^d **12** Hy het vir my gesê: "Mensekind, sien jy wat die ouermanne van die huis van Israel in die donker doen, elkeen in die binnekamers waar sy afgode uitgestal is?* Want hulle sê: 'Jehovah sien ons nie. Jehovah het die land verlaat.'"^e

13 Hy het verder vir my gesê: "Jy sal sien dat hulle afskuwelike dinge doen wat selfs nog erger is." **14** Toe het hy my na die ingang van die poort aan die noordekant van die huis van Jehovah geneem, en daar het ek vrouens gesien wat oor die god Tammus sit en huil.

15 Hy het verder vir my gesê: "Sien jy dit, o mensekind? Jy sal afskuwelike dinge sien wat selfs nog erger is."^f **16** Toe het hy my na die binneste voorhof van die huis van Jehovah^g geneem. Daar by die ingang van die tempel van Jehovah, tussen die portaal en die altaar, was omtrent 25 manne met hulle rûe na die tempel van Jehovah en hulle gesigte na die ooste. Hulle het voor die son neergebuig, na die ooste toe.^h

8:10 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlusting" en word gebruik om veragting aan te dui. **8:12** *Of "in die binnekamers van sy vertoonstuk".

17 Hy het vir my gesê: “Mensekind, sien jy dit? Is dit nie erg genoeg dat die huis van Juda hierdie afskuwelike dinge doen nie? Moet hulle die land ook nog vol geweld maak^a en aanhou om my aanstoot te gee? Kyk hoe hulle die tak* na my neus uitsteek. **18** Ek sal dus in woede optree. Ek* sal nie jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye[#] betoon nie.^b En ek sal hulle nie hoor nie, al roep hulle met ’n harde stem uit.”^c

9 Toe het ek gehoor hoe hy met ’n harde stem uitroep en sê: “Roep dié wat die stad sal straf, elkeen met sy wapen van vernietiging in sy hand!”

2 Ek het ses manne gesien wat uit die rigting gekom het van die boonste poort^d wat noord kyk. Elkeen het ’n wapen in sy hand gehad om mee stukkend te slaan. Daar was ’n man saam met hulle wat linneklere aangehad het en wat ’n sekretaris se inkhoring* aan sy middel gedra het, en hulle het ingekom en langs die koperaltaar^e gaan staan.

3 Toe het die heerlikheid van die God van Israel^f opgegaan van waar dit bo die gerubs was, en dit het na die drumpel van die heropening van die tempel beweeg.^g Hy het begin roep na die man wat die linneklere aangehad het en wat die sekretaris se inkhoring aan sy middel gedra het. **4** Jehovah het vir hom gesê: “Gaan deur die stad, deur Jerusalem, en maak ’n merk op die voorkoppe van die mense wat sug en steun^h oor al die afskuwelike dinge wat in die stad gedoen word.”ⁱ

8:17 *Waarskynlik ’n tak wat in afgodediens gebruik is. **8:18** *Lett. “My oog”. **8:18; 9:5, 10** *Sien Wordelys. **9:2** *Of “’n oorskrywer se inkhouer”.

HFST. 8

a 2Kn 21:16
Jer 19:4
Ese 9:9

b Ese 5:11
Ese 7:9

c Jes 1:15
Mi 3:4

HFST. 9

d Jer 20:2
Ese 8:3

e 2Kr 4:1

f Ese 3:23
Ese 8:3, 4
Ese 11:22

g Ese 10:4

h Ps 119:53
2Pe 2:7, 8

i Ese 5:11

Tweede kol.

a Eks 32:26, 27
Ese 7:4

b 2Kr 36:17

c Eks 12:23
Jos 2:17-19
Op 9:4

d 2Kn 25:18, 21
Jer 25:29

e Ese 8:11

f Klg 2:21

g Ge 18:23
Ese 11:13

h 2Kr 36:14
Jes 1:4

i 2Kn 21:16
Jer 2:34
Mt 23:30

j Ese 22:29

k Jes 29:15
Ese 8:12

l Ese 5:11
Ese 7:4

5 Ek het gehoor toe hy met die ander praat, en hy het gesê: “Gaan deur die stad en slaan die mense dood. Julle* moenie jammer voel nie, en julle moenie enige medelye[#] betoon nie.^a

6 Julle moet al die ou manne, jong manne, maagde, kindertjies en vrouens doodmaak.^b Maar moenie naby enigiemand gaan wat die merk het nie.^c Julle moet by my heiligdom begin.”^d Toe het hulle begin by die ouermanne wat voor die tempel was.^e **7** Daarna het hy vir hulle gesê: “Maak die tempel onrein en maak die voorhowe vol lyke.^f Gaan!” Hulle het dus gegaan en mense in die stad doodgeslaan.

8 Terwyl hulle die mense doodgeslaan het, het ek alleen oorgebly. Ek het met my gesig na die grond toe neergeval en uitgeroep: “Ag, Soewereine Heer Jehovah! Gaan u almal vernietig wat in Israel oorbly terwyl u met woede teen Jerusalem optree?”^g

9 Toe het hy vir my gesê: “Die sonde van die huis van Israel en Juda is baie, baie groot.^h Die land is vol bloedskulde,ⁱ en die stad is vol sleghede.^j Want hulle sê: ‘Jehovah het die land verlaat, en Jehovah sien nie.’^k **10** Maar ek* sal nie jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye[#] betoon nie.^l Ek sal hulle die gevolge van hulle dade laat dra.”

11 Toe het ek die man gesien wat die linneklere aangehad het en wat die inkhoring aan sy middel gedra het. Hy het kom sê: “Ek het gedoen net soos u my beveel het.”

10 Terwyl ek gekyk het, het ek bo die uitgestrekte oppervlak wat oor die koppe van die gerubs was, iets soos ’n

9:5 *Lett. “Julle oog”. **9:10** *Lett. “my oog”.

saffiersteen gesien wat bo hulle verskyn, en dit het soos 'n troon gelyk.^a **2** Toe het hy vir die man wat die linneklere aangehad het,^b gesê: "Gaan in tussen die draaiende wiele,^c onder die gerubs, en maak jou hande vol brandende kole^d daar tussen die gerubs, en strooi dit oor die stad."^e Toe het hy ingegaan terwyl ek gekyk het.

3 Die gerubs het regs van die tempel gestaan toe die man ingaan, en die wolk het die binne-ster voorhof gevul. **4** Die heerlikheid van Jehovah^f het van die gerubs af opgegaan na die drumpel van die deuropening van die tempel, en die tempel is geleidelik met die wolk gevul,^g en die voorhof was vol van die glans van die heerlikheid van Jehovah. **5** En die geluid van die vlerke van die gerubs kon in die buitenste voorhof gehoor word, soos die geluid van God die Almagtige wanneer hy praat.^h

6 Toe het hy die man met die linneklere beveel: "Neem vuur tussen die draaiende wiele, tussen die gerubs uit." Hy het ingegaan en langs die wiel gaan staan. **7** Toe het een van die gerubs sy hand uitgesteek na die vuur wat tussen die gerubs was.ⁱ Hy het van die vuur geneem en dit in die hande gesit van die man wat die linneklere aangehad het.^j Die man het dit toe geneem en uitgegaan. **8** Die gerubs het iets onder hulle vlerke gehad wat die vorm van mensehande gehad het.^k

9 Terwyl ek gekyk het, het ek vier wiele langs die gerubs gesien, een wiel langs elke gerub, en dit het gelyk asof die wiele soos chrisolietsteen gloei.^l **10** Al vier het dieselfde gelyk, en dit was asof daar 'n wiel

HFST. 10

a Jes 6:1
Ese 1:22, 26
Op 4:2, 3

b Ese 9:2

c Ese 1:16

d Ese 1:13

e 2Kn 25:8, 9

f Ese 1:27, 28
Ese 9:3g Eks 40:35
2Kr 5:13
Ese 43:5h Ps 29:3, 4
Ese 1:24
Joh 12:28, 29

i Ese 1:13

j Ese 9:2

k Ese 1:8

l Ese 1:15-18

Tweede kol.

a Op 4:6, 8

b Ese 1:6, 10
Op 4:7

c Ese 1:3

d Ese 1:19-21

e Ese 1:27, 28

f Ese 9:3
Ese 10:4

binne-in 'n wiel is. **11** Wanneer hulle beweeg het, kon hulle in enige van die vier rigtings gaan sonder om te draai, want hulle het in die rigting gegaan waarheen die kop gekyk het sonder om te draai. **12** Hulle liggame, hulle rûe, hulle hande, hulle vlerke en die wiele, al vier se wiele, was heeltemal vol oë.^a **13** Ek het 'n stem gehoor wat uitgeroep het en vir die wiele gesê het: "Draaiende wiele!"

14 Elkeen* het vier gesigte gehad. Die eerste gesig was die gesig van die gerub, die tweede was die gesig van 'n mens, die derde was die gesig van 'n leeu, en die vierde was die gesig van 'n arend.^b

15 En die gerubs - dieselfde lewende wesens* wat ek by die Kebar-rivier gesien het^c - het opgestyg, **16** en wanneer die gerubs beweeg het, het die wiele langs hulle beweeg, en wanneer die gerubs hulle vlerke opgelig het om hoog bo die aarde te wees, het die wiele nie van rigting verander of van hulle af weggegaan nie.^d **17** Wanneer hulle stilgestaan het, het die wiele stilgestaan, en wanneer hulle opgestyg het, het die wiele saam met hulle opgestyg, want die gees wat die lewende wesens gelei het,* was ook in die wiele.

18 Toe het die heerlikheid van Jehovah^e van die drumpel van die deuropening van die tempel af weggegaan en bo die gerubs stilgestaan.^f **19** Die gerubs het toe hulle vlerke opgelig en voor my oë van die aarde af opgestyg. Die wiele was ook langs hulle toe hulle vertrek het. Hulle het by die ingang

10:14 *D.w.s. elke gerub. **10:15** *Lett. "wese". **10:17** *Lett. "die gees van die lewende wese".

van die oostelike poort van die huis van Jehovah stilgehou, en die heerlijkheid van die God van Israel was bo hulle.^a

20 Dit is die lewende wesens* wat ek onder die God van Israel by die Kebar-rivier gesien het,^b en so het ek uitgevind dat hulle gerubs is. **21** Al vier het vier gesigte en vier vlerke gehad, en onder hulle vlerke iets wat soos mensehande gelyk het.^c **22** En hulle gesigte het gelyk soos die gesigte wat ek by die Kebar-rivier gesien het.^d Hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan.^e

11 'n Gees het my opgelig en my geneem na die oostelike poort van die huis van Jehovah, die poort wat oos kyk.^f Ek het 25 manne by die ingang van die poort gesien, en Jaasan'ja, die seun van Assur, en Pelat'ja, die seun van Bena'ja, leiers van die volk,^g was saam met hulle. **2** Toe het Hy vir my gesê: "Mensekind, dit is die manne wat slegte planne beraam en slegte raad gee in* hierdie stad. **3** Dit is hulle wat sê: 'Is dit nie die tyd om huise te bou nie?'^h Die stad* is die kookpot,ⁱ en ons is die vleis.'

4 "Profeteer dus teen hulle. Profeteer, mensekind."^j

5 Toe het die gees van Jehovah op my gekom,^k en hy het vir my gesê: "Sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Julle het die regte ding gesê, o huis van Israel, en ek weet wat julle dink.* **6** Julle het die dood van baie in hierdie stad veroorsaak, en julle het die strate met die dooies gevul.'"^l **7** "Daarom sê die Soewereine

10:20 *Lett. "wese". 11:2 *Of "teen". 11:3 *Lett. "Sy", die stad Jerusalem, waar die Jode gedink het hulle veilig sou wees. 11:5 *Of "in julle gees op-kom".

HFST. 10

a Ese 11:22

b Ese 1:1, 22

c Ese 1:8

d Ese 1:10

e Ese 1:12
Ese 10:11

HFST. 11

f Ese 10:19

g Jes 1:23
Ese 22:27

h Ese 12:27

i Ese 24:3

j Ese 3:17
Ese 20:46
Ese 21:2

k 2Pe 1:21

l Ese 7:23
Ese 22:3, 4

Tweede kol.

a Ese 24:6

b Jer 38:19

c Jer 39:6, 7
Jer 52:24-27

d 2Kn 25:18-21
2Kr 36:17

e 2Kn 14:25
Jer 52:27

f Ese 6:13

g Esr 9:7
Ne 9:34

h De 12:29-31
2Kr 28:1, 3
Ps 106:34-36

i Ese 9:8

j 2Kn 24:14, 15
Jer 24:5

Heer Jehovah: 'Die lyke wat julle in die stad gestrooi het, is die vleis, en die stad is die kookpot.^a Maar julle sal daar uitgebring word."

8 "Julle was bang vir die swaard,^b en ek sal die swaard teen julle bring,' sê die Soewereine Heer Jehovah. **9** 'Ek sal julle beslis daar uitbring en julle in die hand van uitlanders gee en julle oordeel en straf.^c **10** Julle sal met die swaard doodgemaak word.^d Ek sal julle by die grens van Israel oordeel,^e en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.^f **11** Die stad sal nie vir julle 'n kookpot wees nie, en julle sal nie die vleis daarin wees nie. Ek sal julle op die grens van Israel oordeel, **12** en julle sal moet weet dat ek Jehovah is. Julle het nie my wetsvoorskrifte gevolg of my oordele gehoorsaam nie,^g maar julle het opgetree volgens die oordele van die nasies rondom julle."^h

13 Onmiddellik nadat ek geprofeteer het, het Pelat'ja, die seun van Bena'ja, gesterf, en ek het met my gesig na die grond toe neergeval en met 'n harde stem uitgeroep: "Ag, Soewereine Heer Jehovah! Gaan u 'n einde maak aan die mense wat in Israel oorbly?"ⁱ

14 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **15** "Mensekind, die inwoners van Jerusalem het vir jou broers wat die terugkoopreg het en vir die hele huis van Israel gesê: 'Bly ver van Jehovah af weg. Die land behoort aan ons. Dit is as 'n besitting aan ons gegee.' **16** Daarom moet jy sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Al het ek hulle ver weg onder die nasies gestuur en hulle in die lande verstrooi,^j sal ek tog 'n kort rukkie vir hulle

'n heiligdom word in die lande waarheen hulle gegaan het.”^a

17 “Daarom moet jy sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal julle ook bymekaarmaak uit die volke en julle uit die lande versamel waarheen julle verstrooi is, en ek sal die land van Israel aan julle gee.”^b **18** En hulle sal daarheen teruggaan en al sy walglike dinge en al sy afskuwelike gebruike daaruit verwyder.”^c **19** En ek sal hulle 'n verenigde* hart gee,^d en ek sal 'n nuwe gees in hulle sit.^e Ek sal die hart van klip uit hulle liggame verwyder^f en hulle 'n hart van vlees^g gee,^g **20** sodat hulle my wetsbepalings kan volg en my oordele sal gehoorsaam. Dan sal hulle my volk wees, en ek sal hulle God wees.”

21 ““Maar ek sal dié wie se harte vasbeslote is om aan te hou met hulle walglike dinge en hulle afskuwelike gebruike, die gevolge van hulle dade laat dra,” sê die Soewereine Heer Jehovah.”

22 Toe het die gerubs hulle vlerke opgelig, en die wiele was naby hulle,^h en die heerlikheid van die God van Israel was bo hulle.ⁱ **23** Die heerlikheid van Jehovah^j het toe bo die stad opgegaan en bo die berg stilgestaan wat oos van die stad is.^k **24** Toe het 'n gees my opgelig – deur 'n visioen wat die gees van God my gegee het – en my uiteindelik geneem na die ballinge* in Galde'a. Toe het die visioen wat ek gesien het, my verlaat. **25** En ek het vir die ballinge al die dinge begin vertel wat Jehovah vir my gewys het.

11:19 *Lett. “een”. ^aD.w.s. 'n hart wat gevoelig is vir God se leiding. **11:24** ^bD.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

HFST. 11

a Le 26:44

b Jes 11:11, 12
Jer 30:10, 11
Ese 34:13, 14
Am 9:14, 15

c Ese 37:23

d Jer 24:7
Jer 31:33
Jer 32:39

e Ps 51:10
Ese 36:31

f Sag 7:12

g Ese 36:26

h Ese 1:19

i Ese 10:18, 19

j Ese 9:3
Ese 10:4

k Sag 14:4

Tweede kol.

HFST. 12

a Jes 6:9, 10
Jer 5:21
Ro 11:8

b Ese 2:3, 5

c 2Kr 36:20
Jer 52:10, 11

d 2Kn 25:4

e Jes 8:18
Ese 4:3
Ese 24:24

12 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, jy woon in 'n opstandige huis. Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie, en ore om te hoor, maar hulle hoor nie,^a want hulle is 'n opstandige huis.”^b **3** Maar jy, mensekind, kry vir jou goed bymekaar om saam te vat wanneer jy in ballingskap gaan. Dan moet jy gedurende die dag in ballingskap gaan terwyl hulle vir jou kyk. Gaan van jou huis af in ballingskap na 'n ander plek toe terwyl hulle vir jou kyk. Miskien sal hulle dit oplet, al is hulle 'n opstandige huis. **4** Jy moet gedurende die dag terwyl hulle vir jou kyk, jou goed wat jy vir ballingskap gereedgekry het, uitbring, en dan moet jy in die aand terwyl hulle vir jou kyk, vertrek soos iemand wat in ballingskap weggenem word.^c

5 “Breek 'n gat deur die muur terwyl hulle vir jou kyk, en dra jou besittings daardeur uit.”^d **6** Sit jou besittings op jou skouer terwyl hulle vir jou kyk, en dra dit in die donker uit. Bedek jou gesig sodat jy nie die grond kan sien nie, want ek maak jou 'n teken vir die huis van Israel.”^e

7 Ek het presies gedoen soos ek beveel is. Gedurende die dag het ek die goed wat ek vir ballingskap gereedgekry het, uitgebring, en in die aand het ek met die hand 'n gat deur die muur gebreek. En toe dit donker was, het ek my besittings reg voor hulle oë op my skouer uitgedra.

8 In die oggend het Jehovah weer met my gepraat en gesê: **9** “Mensekind, het die huis van Israel, die opstandige huis, nie vir jou gevra wat jy doen nie? **10** Sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Hierdie boodskap hou verband

met die hoofman^a in Jerusalem en die hele huis van Israel in die stad.”

11 “Sê: ‘Ek is ’n teken vir julle.^b Net soos ek gedoen het, so sal met hulle gedoen word. Hulle sal in ballingskap gaan, in gevangenskap.^c **12** Die hoofman onder hulle sal sy besittings op sy skouer dra en in die donker vertrek. Hy sal ’n gat deur die muur breek en sy besittings daardeur dra.^d Hy sal sy gesig bedek sodat hy nie die grond kan sien nie.’ **13** Ek sal my net oor hom uitsprei, en hy sal in my vangnet gevang word.^e Dan sal ek hom na Babilon bring, na die land van die Galdeërs, maar hy sal dit nie sien nie, en hy sal daar sterf.^f **14** Ek sal almal om hom, sy helpers en sy soldate, in alle rigtings verstrooi,^g en ek sal ’n swaard uittrek om hulle agterna te sit.^h **15** En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek hulle onder die nasies versprei en hulle in die lande verstrooi. **16** Maar ek sal seker maak dat ’n paar van hulle nie deur die swaard, die hongersnood en die vreeslike siektes sterf nie, sodat hulle die nasies waarheen hulle sal gaan, van al hulle afskuwelike gebruike kan vertel, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

17 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **18** “Mensekind, jy moet jou brood eet terwyl jy bewe en jou water drink terwyl jy ontsteld en angstig is.ⁱ **19** Sê vir die volk van die land: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir die inwoners van Jerusalem in die land van Israel sê: “Hulle sal hulle brood met angstigheid eet en hulle water met groot bekommernis drink, want hulle land sal heeltemal verlate word/

HFST. 12

a Jer 21:7

Ese 21:25

b Ese 24:24

c Jer 52:15

d 2Kn 25:4
Jer 39:4e Jer 52:9
Ese 17:20, 21f 2Kn 25:6, 7
Jer 34:3
Jer 52:11
Ese 17:16

g 2Kn 25:5

h Le 26:33
Jer 42:15, 16

i Le 26:26

j Jes 6:11
Sag 7:14

Tweede kol.

a Ps 107:33, 34
Jer 6:7b Jes 64:10
Jer 25:9

c Ese 6:13

d Jes 5:19
Am 6:3
2Pe 3:3, 4e Jl 2:1
Sef 1:14f Jer 14:14
Klg 2:14
Ese 13:23g Klg 2:17
Sag 1:6h Jer 16:9
Hab 1:5i Jes 5:19
Jes 28:15
2Pe 3:3, 4

HFST. 13

j Mi 3:5
Sef 3:4

as gevolg van die geweld van almal wat daarin woon.^a **20** Die bewoonde stede sal verwoes word, en die land sal ’n verwoeste plek word,^b en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.”^c

21 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **22** “Mensekind, wat is hierdie spreekwoord wat julle in Israel het, wat sê: ‘Die dae gaan verby, en elke visioen loop op niks uit nie?’^d **23** Daarom moet jy vir hulle sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal hierdie spreekwoord tot ’n einde laat kom, en hulle sal dit nie meer as ’n spreekwoord in Israel gebruik nie.” Maar sê vir hulle: ‘Die dae is naby,^e en elke visioen sal waar word.’

24 Want daar sal nie meer enige valse visioen of bedrieglike* voorspellings in die huis van Israel wees nie.^f **25** “Want ek, Jehovah, sal praat. Wat ek ook al sê, sal sonder enige verdere uitstel gedoen word.^g O opstandige huis, in julle dae^h sal ek die woord spreek en dit uitvoer,” sê die Soewereine Heer Jehovah.”

26 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **27** “Mensekind, dit is wat die volk* van Israel sê: ‘Die visioen wat hy sien, sal eers oor ’n lang tyd waar word, en hy profeteer oor die verre toekoms.’ⁱ **28** Daarom moet jy vir hulle sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Nie een van my woorde sal uitgestel word nie. Wat ek ook al sê, sal gedoen word,’ verklaar die Soewereine Heer Jehovah.””

13 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, profeteer teen die profete van Israel/ en sê vir

12:24 *Of “vleiende”. 12:27 *Lett. “huis”.

dié wat hulle eie profesieë opmaak:^a ‘Hoor die woord van Jehovah. **3** Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Dit sal sleg gaan met die dwase profete, wat hulle eie gees volg terwyl hulle niks gesien het nie!^b **4** O Israel, jou profete het soos jakkalse tussen die verwoeste plekke geword. **5** Julle sal nie na die afgebreekte plekke in die klipmure gaan om dit vir die huis van Israel te herbou nie.^c Daarom sal Israel nie in die dag van Jehovah in die oorlog kan bly staan nie.”^d **6** “Hulle het valse visioene gesien en valse voorspellings gemaak, en hulle sê: ‘Dit is wat Jehovah gesê het,’ terwyl Jehovah hulle nie gestuur het nie, en hulle het gewag vir hulle woord om waar te word.^e **7** Het julle nie ’n valse visioen gesien en ’n valse voorspelling gemaak toe julle gesê het: ‘Dit is wat Jehovah gesê het,’ terwyl ek niks gesê het nie?”

8 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: “Omdat die dinge wat julle gesê het, vals is en julle visioene ’n leuen is, is ek teen julle,’ sê die Soewereine Heer Jehovah.”^f **9** My hand is teen die profete wie se visioene en voorspellings vals is.^g Hulle sal nie onder die volk wees wat ek in my vertroue neem nie, en hulle sal ook nie in die register van die huis van Israel opgeskryf word nie. Hulle sal ook nie terugkeer na die land van Israel nie, en hulle sal moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is.^h **10** En dit alles omdat hulle my volk mislei het deur te sê: “Daar is vrede!” terwyl daar geen vrede is nie.ⁱ Wanneer ’n swak skeids-

13:2 *Of “wat uit hulle eie hart profeteer”.

HFST. 13

a Jer 14:14
Jer 23:16

b Jer 23:32

c Ese 22:30

d Jes 2:12
Jl 1:15

e Jer 29:31, 32

f Ese 22:28

g Jer 14:14
Jer 28:15, 16
Jer 29:8, 9h Ese 6:13
Ese 11:10

i Jer 6:13, 14

Tweede kol.

a Jes 30:10
Ese 22:28

b Jes 27:8

c Jer 37:19

d Jes 30:12, 13

e Jer 6:13, 14
Jer 28:1-4

muur gebou word, pleister hulle dit met witkalk.’^a

11 “Sê vir dié wat die muur met witkalk pleister dat dit sal val. ’n Stortreën sal kom, haelstene* sal val en kragtige windstorms sal dit afbreek.^b **12** En wanneer die muur val, sal julle gevra word: ‘Waar is die pleister waarmee julle die muur bedek het?’^c

13 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: ‘In my woede sal ek kragtige windstorms laat losbar en ’n stortreën laat kom en vernietigende haelstene stuur. **14** Ek sal die muur wat julle met witkalk gepleister het, tot op die grond afbreek, en die fondament sal ontbloot wees. Wanneer die stad val, sal julle in die stad doodgaan, en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.’

15 “Wanneer ek al my woede op die muur loslaat en op dié wat dit met witkalk gepleister het, sal ek vir julle sê: “Die muur bestaan nie meer nie, en dié wat dit met witkalk gepleister het, bestaan nie meer nie.”^d **16** Die profete van Israel bestaan nie meer nie, asook dié wat vir Jerusalem geprofeteer het en wat visioene van vrede vir die stad gesien het, terwyl daar geen vrede is nie.”^e sê die Soewereine Heer Jehovah.

17 “En jy, mensekind, vestig jou aandag op die dogters van jou volk wat hulle eie profesieë opmaak, en profeteer teen hulle. **18** Sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Dit sal sleg gaan met die vrouens wat bande* aanmekaarwerk vir alle arms en sluiers

13:10 *D.w.s. in ’n poging om dit stewig te laat lyk. **13:11** *Lett. “en julle, o haelstene”. **13:18** *D.w.s. towerbande wat om die elmboë of gewigte gedra is.

maak vir koppe van alle groottes sodat hulle mense se lewens kan jag! Jag julle die lewens van my volk, en probeer julle julle eie lewens red? **19** Julle onheilig my by my volk vir hande vol gars en vir stukkies brood.^a Julle maak mense dood wat nie behoort te sterf nie en julle laat mense bly lewe wat nie behoort te lewe nie. En julle doen dit deur vir my volk te lieg, wat na julle leuens luister.”^b

20 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: ‘O vrouens, ek sal iets doen omtrent julle bande wat julle gebruik om mense te jag asof hulle voëls is, en ek sal dit van julle arms afskeur en dié vrylaat wat deur julle soos voëls gejag word.

21 Ek sal julle sluiers afruk en my volk uit julle hand red, en hulle sal nie meer iets wees wat julle as prooi kan vang nie, en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.^c **22** Want julle het die regverdige met julle leuens^d ontmoedig terwyl ek hom nie pyn* veroorsaak het nie. En julle het die hande van die goddelose versterk,^e en daarom het hy nie opgehou met die slegte dinge wat hy doen sodat hy kan bly lewe nie.^f **23** Daarom sal julle, o vrouens, nie meer valse visioene sien en voorspellings maak nie,^g en ek sal my volk uit julle hand red, en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

14 En party van die ouer-manne van Israel het gekom en voor my gaan sit.^h **2** Toe het Jehovah met my gepraat en gesê: **3** “Mensekind, hierdie manne is vasbeslote om hulle walglike afgode* te

13:22 *Of “angs”. **14:3** *Die Hebruese uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ’n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 13
a Mi 3:11

b Jer 23:14

c Ese 6:13

d Jer 27:14

e Jer 23:14

f Jer 23:16, 17

g De 18:10, 14
Jer 27:9
Mi 3:6

HFST. 14

h Ese 33:30, 31

Tweede kol.

a 2Kn 3:13
Jes 1:15
Jer 11:11

b Jer 2:5

c Jes 55:7

d Jer 21:1, 2
Ese 33:31

e Le 20:2, 3

f 1Kn 22:21, 22
Jer 4:10
2Te 2:10, 11

volg. Hulle het ’n struikelblok voor mense geplaas wat hulle laat sondig. Moet ek hulle toelaat om my vir raad te vra?^a

4 Praat nou met hulle en sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “As ’n Israeliet vasbeslote is om sy walglike afgode te volg en ’n struikelblok voor mense plaas wat hulle laat sondig en hy dan ’n profeet vir raad kom vra, sal ek, Jehovah, hom die antwoord gee wat hy verdien vir al sy walglike afgode. **5** Ek sal die harte van die huis van Israel vol vrees maak* omdat hulle almal my verlaat het en agter hulle walglike afgode aangeloop het.”^b

6 “Sê dus vir die huis van Israel: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Kom terug en draai weg van julle walglike afgode en hou op met al julle afskuwelike gebruike.^c **7** Want as enige Israeliet of uitlander wat in Israel woon, my verlaat en vasbeslote is om sy walglike afgode te volg en ’n struikelblok voor mense plaas wat hulle laat sondig en dan my profeet vir raad^d kom vra, sal ek, Jehovah, hom self antwoord. **8** Ek sal teen daardie man draai en van hom ’n waarskuwende teken en ’n voorbeeld* maak, en ek sal hom onder my volk uitroei,^e en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

9 “Maar as die profeet mislei word en hy ’n antwoord gee, is dit ek, Jehovah, wat daardie profeet mislei het.^f Ek sal dan my hand teen hom uitsteek en hom onder my volk Israel uitroei. **10** Hulle sal hulle skuld moet dra, en die skuld van die een wat die profeet vir raad kom vra het, sal dieselfde wees

14:5 *Lett. “sal die huis van Israel in hulle hart gryp”. **14:8** *Lett. “in spreekwoord”.

as die skuld van die profeet. **11** Dan sal die huis van Israel nie meer van my af weg dwaal nie en sal hulle ophou om hulleself met al hulle sondes onrein te maak. En hulle sal my volk word en ek sal hulle God word.^a sê die Soewereine Heer Jehovah.”

12 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **13** “Mensekind, as ’n land teen my sondig deur ontrou te wees, sal ek hulle voedselvoorraad laat opraak,^b en ek sal hongersnood daarvoor bring^c en mens en dier daar uitroei.”^d **14** “Selfs as hierdie drie manne – Noag,^e Daniël^f en Job^g – daarin was, sou hulle net hulleself kon red as gevolg van hulle regverdigheid,^h sê die Soewereine Heer Jehovah.”

15 “Of sê nou ek stuur gevaarlike wilde diere deur die land wat die mense doodmaak* en die land ’n verlate plek maak waardeur niemand gaan nie omdat hulle bang is vir die wilde diere.ⁱ **16** So waar as wat ek lewe,^j sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘selfs as hierdie drie manne daarin was, sou hulle nie hulle seuns of hulle dogters red nie. Hulle sou net hulleself red, en die land sou verlate word.’”

17 “Of sê nou ek bring ’n swaard teen daardie land^j en sê: “Laat ’n swaard deur die land gaan,” en ek maak mens en dier daarin dood.^k **18** Selfs as hierdie drie manne daarin was, so waar as wat ek lewe,^j sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘sou hulle nie hulle seuns of hulle dogters red nie. Hulle sou net hulleself red.’”

14:13 *Lett. “broodstokke breek”. Moontlik stokke waaraan ringvormige brode gehang is vir bewaring. **14:15** *Of “dit van kinders beroof”.

HFST. 14

a Jer 24:7
Ese 11:19, 20

b Le 26:26

c Jes 3:1
Jer 15:2

d Jer 7:20

e Ge 6:8, 9
Heb 11:7

f Da 10:11

g Job 1:8
Job 42:8h Spr 11:4
Jer 15:1
2Pe 2:9i Le 26:22
Jer 15:3j Le 26:25
Jer 25:9
Ese 21:3

k Sef 1:3

Tweede kol.

a De 28:21, 22

b Ge 7:1

c Da 10:11

d Job 1:8
Job 42:8e Ese 18:20
Sef 2:3

f Jer 15:2

g Ese 5:17
Ese 33:27

h Jer 32:43

i De 4:31
2Kr 36:20
Ese 6:8
Mi 5:7j Ne 9:33
Jer 22:8, 9
Ese 9:9
Da 9:7

19 “Of sê nou ek stuur ’n vreeslike siekte oor daardie land^a en ek stort my woede daarvoor uit sodat baie mense sterf en mens en dier daar uitgeroei word. **20** Selfs as Noag,^b Daniël^c en Job^d daarin was, so waar as wat ek lewe,^j sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘sou hulle nie hulle seuns of hulle dogters red nie. Hulle sou net hulleself red as gevolg van hulle regverdigheid.’”^e

21 “Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘So sal dit wees wanneer ek my vier strawwe^f – swaard, hongersnood, gevaarlike wilde diere en vreeslike siektes^g – teen Jerusalem stuur om mens en dier daar uit te roei.^h **22** Maar party sal dit oorleef en sal uit die stad gebring word,ⁱ seuns sowel as dogters. Hulle kom na julle toe, en wanneer julle sien hoe hulle lewe en wat hulle doen, sal julle beslis vertrous word oor die ramspoed wat ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat ek daaraan gedoen het.’”

23 “Hulle sal julle vertrous wanneer julle sien hoe hulle lewe en wat hulle doen, en julle sal weet dat ek nie sonder goeie rede daarteen opegetree het nie,^j sê die Soewereine Heer Jehovah.”

15 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, wat is die verskil tussen die hout van ’n wingerdstok en die hout van enige ander boom of tak van die bome van die woud? **3** Kan jy ’n paal daarvan maak om mee te werk? Of maak mense ’n pen daarmee sodat hulle iets daaraan kan ophang? **4** Kyk! Dit word in die vuur gegooi as brandhout. Die vuur verteer albei ente en verskroei die middelste deel. Kan dit dan vir enigiets gebruik

word? **5** Selfs toe dit nog heel was, kon dit vir niks gebruik word nie. Hoeveel minder kan dit gebruik word wanneer die vuur dit verbrand en verskroei het!"

6 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Net soos ek die hout van 'n wingerdstok onder die bome van die woud as brandhout vir die vuur gegee het, so sal ek met die inwoners van Jerusalem maak.^a **7** Ek het teen hulle gedraai. Hulle het uit die vuur ontsnap, maar die vuur sal hulle verteer. En julle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek teen hulle draai.'"^b

8 "'Ek sal die land 'n verlate plek maak^c omdat hulle ontrou was,'^d sê die Soewereine Heer Jehovah."

16 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** "Mensekind, maak aan Jerusalem haar afskuwelike gebruike bekend.^e **3** Jy moet sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir Jerusalem sê: "Jy kom uit die land van die Kanaäniete, en jy is daar gebore. Jou pa was 'n Amoriet,' en jou ma was 'n Hetiet.^g **4** Op die dag toe jy gebore is, is jou naelstring nie afgesny nie, en jy is nie in water gewas om jou skoon te maak nie, en jy is nie met sout ingevryf nie, en jy is nie in doeke toegedraai nie. **5** Niemand het jammer genoeg vir jou gevoel om een van hierdie dinge vir jou te doen nie. Niemand het medelye* aan jou betoon nie. Jy is eerder in die oop veld gegooi omdat jy gehaat is op die dag toe jy gebore is.

6 "'Toe ek by jou verbygaan, het ek gesien hoe jy in jou eie bloed lê en skop. Terwyl jy daar in jou bloed gelê het, het ek ge-

16:5 *Sien Woordelys.

HFST. 15

a Ps 80:14-16
Jes 5:24
Jer 7:20
Ese 20:47

b Ese 6:7
Ese 7:4

c Jes 6:11
Jer 25:11
Ese 6:14

d 2Kr 36:14

HFST. 16

e Ese 8:10
Ese 20:4

f Jos 10:5
1Kn 21:25, 26
2Kn 21:11

g 1Kr 1:13, 14

Tweede kol.

a Rut 3:9

b Ps 23:5

c Ps 48:2

d 1Kn 4:21

e 1Kn 10:1
Ps 50:2
Klg 2:15

sê: 'Bly lewe!' Ja, terwyl jy daar in jou bloed gelê het, het ek vir jou gesê: 'Bly lewe!' **7** Ek het jou 'n baie groot menigte gemaak, soos plante wat in die veld opkom. Jy het gegroei en groot geword en die beste juwele gedra. Jou borste het ferm geword, en jou hare het gegroei, maar jy was nog steeds heeltemal kaal."

8 "'Toe ek by jou verbygaan en jou sien, het ek opgelet dat jy oud genoeg was vir die liefde.* Ek het toe my kledingstuk[#] oor jou gegooi^a en jou kaal liggaam bedek. Ek het 'n eed en 'n verbond met jou gemaak,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'en jy het myne geword. **9** Ek het jou ook met water gewas en jou bloed afgespoel en olie aan jou gesmeer.^b **10** Toe het ek vir jou 'n geborduurde kledingstuk aangetrek en vir jou sandale van goeie leer* gegee en jou in fyn linne toegedraai, en ek het vir jou duur klere aangetrek. **11** Ek het jou versier en armbande aan jou arms en 'n kettinkie om jou nek gesit. **12** Ek het ook 'n neusring aan jou neus en ooringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou kop gesit. **13** Jy het jou met goud en silwer bly versier, en jou kleure was fyn linne, duur materiaal en 'n geborduurde kledingstuk. Jy het fynmeel, heuning en olie geëet. Jy het baie mooi geword,^c en jy was geskik om 'n koningin te wees.'"*

14 "'Weens jou skoonheid het jy beroemd geword^{#d} onder die nasies. Jou skoonheid was volmaak omdat ek my eie prag op jou geplaas het,'^e sê die Soewereine Heer Jehovah."

16:8 *Of "liefkosings". [#]Of "kleed".
16:10 *Of "robbevel". 16:13 *Of "vir 'n koninklike posisie". 16:14 *Lett. "het jou naam begin uitgaan".

15 “Maar jy het op jou skoonheid begin vertrou,^a en jy het ’n prostituut geword omdat jy so beroemd was.^b Jy het prostitusie gepleeg met elke verbyganger,^c en jy het jou skoonheid aan elkeen van hulle gegee.

16 Jy het van jou klere geneem en vir jou kleurvolle offerhoogtes gemaak waar jy prostitusie gepleeg het.^d Sulke dinge moenie plaasvind nie en moet nooit gebeur nie.

17 Jy het ook jou pragtige juwele,^e wat gemaak is van die goud en silwer wat ek jou gegee het, gebruik om vir jou mansbeelde te maak waarmee jy prostitusie gepleeg het.^e

18 En jy het jou geborduurde klere geneem en hulle* bedek, en jy het my olie en my reukwerk aan hulle geoffer.^f 19 En die brood wat ek jou gegee het om te eet – wat van fynmeel, olie en heuning gemaak was – het jy ook as ’n aangename* geur aan hulle geoffer.^g Dit is presies wat gebeur het,^h sê die Soewereine Heer Jehovah.”

20 “Jy het jou seuns en jou dogters waaraan jy vir my geboorte geskenk het,^h geneem en hulle aan afgode geoffer om verteer te word.ⁱ Was jou dade van prostitusie nie genoeg nie?

21 Jy het my kinders geslag en hulle as offerandes in die vuur verbrand.^h 22 Terwyl jy met al jou afskuwelike gebruike en dade van prostitusie besig was, het jy nie gedink aan jou jong dae toe jy heeltemal kaal was en in jou eie bloed gelê en skop het nie.

23 Dit sal verskriklik sleg gaan met jou omdat jy al hierdie goddelose dinge gedoen het,^k sê die Soewereine Heer Jehovah. 24 ‘Jy het vir jou ’n heu-

16:17 *Of “ornamente”. 16:18 *D.w.s. die manlike afgode. 16:19 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”. 16:21 *Of “deur die vuur laat gaan”.

HFST. 16

a Jer 7:4
Mi 3:11b 1Kn 11:5, 7
Ps 106:35, 36
Jes 57:7, 8
Jer 2:20
Jak 4:4

c Jer 3:13

d 1Kn 14:22, 23
2Kr 21:5, 11

e Jes 57:7, 8

f Ese 8:10, 11

g 2Kn 22:16, 17

h Eks 13:2

i Ps 106:37, 38

j Le 18:21
Le 20:2
2Kn 16:1, 3
2Kr 33:1, 6
Jer 7:31
Ese 20:26k Jer 13:27
Sef 3:1

Tweede kol.

a Jer 2:23, 24

b Jer 3:2

c Jes 30:2, 3
Jer 2:36

d De 28:48

e Ps 106:41

f Jer 2:11, 12

g 2Kn 16:7

h Ese 23:14, 16

i Jer 3:3

j Jer 3:1, 20

weltjie gemaak en op elke openbare plein vir jou ’n offerhoogte gemaak. 25 Jy het jou offerhoogtes op die sigbaarste deel van elke straat gebou, en jy het jou skoonheid iets afskuweliks gemaak deur jou aan te bied* vir elke verbyganger,^a en jy het al hoe meer dade van prostitusie gepleeg.^b 26 Jy het prostitusie gepleeg met die Egiptenare,^c jou bure wat seksuele genot najaag,^e en jy het my aanstoot gegee met jou baie dade van prostitusie. 27 Ek sal beslissig my hand teen jou uitsteek en jou voedselvoorraad verminder^d en jou oorlaat aan die wil van die vrouens wat jou haat,^e die dogters van die Filistyne, wat geskok was oor jou afstootlike gedrag.^f

28 “Omdat jy nie bevredig kon word nie, het jy prostitusie gepleeg met die Assiriërs,^g maar nadat jy jou aan hulle gegee het, is jy nog steeds nie bevredig nie. 29 Toe het jy ook prostitusie gepleeg met die land van die handelaars* en met die Galdeërs,^h maar selfs toe is jy nie bevredig nie. 30 Hoe siek* was jou hart,ⁱ sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘toe jy al hierdie dinge gedoen het en jou soos ’n skaamtelose prostituut gedra het!’ 31 Maar toe jy jou huweltjie op die sigbaarste deel van elke straat gemaak het en jou offerhoogte op elke openbare plein gemaak het, was jy nie soos ’n prostituut nie omdat jy nie enige betaling wou hê nie. 32 Jy is ’n vrou wat egbreuk pleeg en wat vreemdelinge bo haar eie man verkies!’ 33 Prostitute kry gewoonlik ’n

16:25 *Lett. “jou bene uit te spreit”.

16:26 *Lett. “wat groot van vlees is”.

16:29 *Lett. “land Kanaän”. 16:30

*Of “swak”. #Of moontlik “O, hoe is ek tog met woede teen jou vervul”.

geskenk,^a maar jy het geskenke gegee aan almal wat 'n seksuele begeerte vir jou het,^b en jy koop hulle om sodat hulle van oral af kom om met jou prostitusie te pleeg.^c **34** Jy is die teenoorgestelde van ander vrouens wat prostitusie pleeg. Niemand pleeg prostitusie soos jy nie! Jy betaal ander, en hulle betaal jou nie. Jou prostitusie is die teenoorgestelde.'

35 "Daarom, o prostituut,^d hoor wat Jehovah sê. **36** Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Jy het jou lus uitgestort en jou kaal uitgetrek gedurende jou prostitusie met die mans met wie jy 'n seksuele verhouding het en met al jou afskuwelike, walglike afgode*^e aan wie jy selfs die bloed van jou kinders geoffert het.'^f **37** Daarom bring ek almal bymekaar met wie jy 'n seksuele verhouding het en aan wie jy genot verskaf het, almal vir wie jy lief was en almal wat jy gehaat het. Ek sal hulle van oral af teen jou bymekaarbring en jou kaal uittrek vir hulle, en hulle sal jou heeltemal kaal sien.^g

38 "En ek sal jou straf met die oordele wat vrouens verdien wat egbrek pleeg^h en ander doodmaak,ⁱ en jou bloed sal in woede en jaloesie uitgestort word.^j **39** Ek sal jou in hulle hand gee, en hulle sal jou heuweltjies afbreek, en jou offerhoogtes sal omgegooi word,^k en hulle sal jou klere uittrek^l en jou pragtige juwele*^m vat en jou heeltemal kaal agterlaat. **40** Hulle sal 'n skare teen jou bring,ⁿ en hulle sal jou met klippe doodgooi^o en jou met hulle

16:36 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. **16:39** *Of "ornamente".

HFST. 16

a Ge 38:16

b Jes 57:9

c 2Kr 16:2, 3

d Jes 1:21
Jer 3:6

e 2Kn 21:11

f Ps 106:37, 38

g Jer 13:22
Klg 1:8

h Ge 38:24
Le 20:10
De 22:22

i Ge 9:6
Eks 21:12

j Ps 79:2, 3
Ese 23:25

k Jes 27:9
Ese 16:24

l Jer 4:30

m Jes 3:18-23
Ese 23:26

n Ese 23:46, 47
Hab 1:6

o De 22:20, 21

Tweede kol.

a 2Kr 36:17
Jer 25:9

b 2Kn 25:8, 9

c Ese 23:27

d Ese 5:13

e Jes 40:2

f Jer 2:32

g 1Kn 21:25, 26
2Kn 21:2, 9
Ps 106:35, 36

h De 20:17
Jos 10:5
2Kn 21:11
Ese 16:3

i Ese 23:33

j Jer 3:8

k Ge 18:20
Jes 3:9
Jer 23:14

l Ge 19:24, 25

m 2Kn 21:2, 9
Ese 5:5, 6

n Jud 7

swaarde doodmaak.^a **41** Hulle sal jou huise afbrand^b en jou oordeel en straf voor die oë van baie vrouens, en ek sal 'n einde aan jou prostitusie maak,^c en jy sal ophou om ander te betaal. **42** Dan sal ek my woede teen jou laat bedaar,^d en dit sal van jou af wegdraai,^e en ek sal kalm wees en nie meer aanstoot neem nie.'

43 "“Omdat jy nie jou jong dae onthou het nie^f en my woedend gemaak het deur al hierdie dinge te doen, sal ek jou nou die gevolge laat dra vir wat jy gedoen het,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'en jy sal jou afstootlike gedrag en al jou afskuwelike gebruike los.

44 "“Kyk! Elkeen wat spreekwoorde gebruik, sal hierdie spreekwoord op jou toepas: “Soos die ma is, so is haar dogter!”^g **45** Jy is die dogter van jou ma, wat haar man en haar kinders gehaat het. En jy is die suster van jou susters, wat hulle mans en hulle kinders gehaat het. Julle ma was 'n Hetiet, en julle pa was 'n Amoriet.”^h

46 "“Jou ouer suster is Samari'a,ⁱ wat noord van jou^j woon met haar dogters,^k en jou jonger suster is Sodom,^k wat suid van jou^l woon met haar dogters.^l **47** Jy het nie net gedoen wat hulle gedoen het en hulle afskuwelike gebruike gevolg nie, maar in 'n kort tydjie het jou gedrag selfs nog erger geword as hulle s'n.^m **48** So waar as wat ek lewe,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'jou suster Sodom en haar dogters het nie gedoen wat jy en jou dogters gedoen het nie. **49** Kyk! Dít was die sonde van jou suster Sodom: Sy en haar dogtersⁿ was

16:46 *Lett. "aan jou linkerkant".
#Waarsynlik afhanklike dorpe.
^Lett. "aan jou regterkant".

trots^a en het 'n oorvloed kos^b en rus sonder enige bekommernisse gehad,^c maar hulle het nie dié wat swaargekry het of wat arm was, gehelp nie.^d **50** Hulle het hoogmoedig gebly^e en het aangehou met hulle afskuwelike gebruike vir my oë,^f en daarom was dit vir my nodig om hulle te verwyder.^g

51 “Samarî'a^h het ook nie eers die helfte soveel sondes gepleeg as jy nie. Jy het aangehou om jou skuldig te maak aan baie meer afskuwelike gebruike as hulle. Dit was so erg dat dit uiteindelik gelyk het asof jou susters regverdig is as gevolg van al jou afskuwelike gebruike.ⁱ **52** Jy moet nou jou vernedering dra, want jy het jou susters se optrede geregverdig. Omdat jou sondes afskuweliker as hulle s'n is, is hulle regverdiger as jy. Wees dan nou skaam en dra jou vernedering, want jy het jou susters regverdig laat lyk.’

53 “En ek sal hulle gevanges bymekaarbring, naamlik die gevanges van Sodom en haar dogters en die gevanges van Samari'a en haar dogters. Ek sal ook jou gevanges saam met hulle bymekaarbring^j **54** sodat jy jou vernedering kan dra, en jy sal verneder voel as gevolg van wat jy gedoen het toe jy hulle vertroos het. **55** Jou susters, Sodom en haar dogters, sal wees soos hulle voorheen was, en Samari'a en haar dogters sal wees soos hulle voorheen was, en jy en jou dogters sal wees soos julle voorheen was.^k **56** Jou suster Sodom was onwaardig om deur jou genoem te word in die dag van jou trots, **57** voordat jou slegtheid ontbloom is.^l Nou beledig die dogters van Sirië en haar bure jou. En die dogters van die Filistyne,^m almal om jou, bespot

HFST. 16

a Spr 16:5

b Ge 13:10

c Spr 1:32

d Spr 21:13

e Spr 16:18

f Ge 13:13

Ge 18:20

Ge 19:4, 5

g Ge 19:24, 25

Klg 4:6

2Pe 2:6

h 2Kn 21:13

Jer 23:13

Ese 23:33

i Jer 3:11

j Ps 126:1

k Ese 36:11

l Ese 21:24

m 2Kr 28:18

Tweede kol.

a Jes 3:11

Ga 6:7

b De 29:12

Jer 22:8, 9

c Jer 32:40

Jer 50:4, 5

d Ese 20:43

e Esr 9:6

Ese 36:31

f Ps 103:12

Mi 7:18, 19

HFST. 17

g Ho 12:10

h De 28:49, 50

Jer 4:13

Klg 4:19

i Jer 22:23

j 2Kn 24:12

2Kr 36:9, 10

Jer 24:1

k 2Kn 24:15

l 2Kn 24:17

Jer 37:1

jou. **58** Jy sal die gevolge van jou afstootlike gedrag en jou afskuwelike gebruike dra,^{sê} Jehovah.”

59 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek sal nou met jou doen net soos jy gedoen het,^a want jy het geen re-spek vir die eed gehad toe jy my verbond verbreek het nie.^b **60** Maar ek sal self die verbond onthou wat ek met jou in jou jong dae gemaak het, en ek sal 'n permanente verbond met jou maak.^c **61** Jy sal jou gedrag onthou en verneder voel^d wanneer jy jou susters verwelkom, dié wat ouer is as jy en dié wat jonger is as jy, en ek sal hulle as dogters aan jou gee, maar nie as gevolg van 'n verbond met jou nie.’

62 “En ek sal self my verbond met jou bevestig, en jy sal moet weet dat ek Jehovah is. **63** Dan sal jy onthou en te skaam wees om jou mond oop te maak as gevolg van jou vernedering,^e wanneer ek vir jou versoening doen ten spyte van alles wat jy gedoen het,^f sê die Soewereine Heer Jehovah.”

17 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, vertel 'n raaisel en 'n verhaal* oor die huis van Israel.^g **3** Jy moet sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Die groot arend,^h met groot vlerke, lang vlerkvere, en wat vol kleurvolle vere is, het na die Li'banon-bergeⁱ gekom en die top van die sederboom gevat.^j **4** Hy het die heel boonste takkie afgepluk en dit na die land van handelaars* gebring en dit in 'n stad van handelaars neergesit.^k **5** Hy het toe van die saad van die land geneem^l

17:2 *Of “spreekwoord”. 17:4 *Lett. “land Kanaän”.

en dit in 'n vrugbare stuk grond gesit. Hy het dit soos 'n wilgerboom by baie waters geplant. **6** Dit het uitgespruit en 'n lae, welige wingerdstok geword.^a Sy blare was na binne gedraai, en sy wortels het onder hom gegroei. So het dit 'n wingerdstok geword en takke voortgebring en uitgestoot.^b

7 ““En daar was nog 'n groot arend,^c met groot vlerke en groot vlerkvere.^d Hierdie wingerdstok het toe sy wortels gregtig na hom toe uitgestrek, weg van die beddings waar dit geplant is, en dit het sy blare na hom toe uitgesteek om water by hom te kry.^e **8** Dit was reeds in 'n goeie stuk grond geplant naby oorgenoeg water om takke voort te bring, vrugte te dra en 'n indrukwekkende wingerdstok te word.”^f

9 “Sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Sal dit floreer? Sal iemand nie sy wortels uitruk^g en sy vrugte vrot laat word en sy takkies laat uitdroog nie?^h Dit sal so droog word dat dit nie nodig sal wees dat 'n sterk arm of baie mense sy wortels uittrek nie. **10** Dit is oorgeplant, maar sal dit floreer? Sal dit nie heeltemal uitdroog soos wanneer die oostewind daarop waai nie? Dit sal uitdroog in die bedding waar dit uitgespruit het.”ⁱ

11 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **12** “Vra asseblief vir die opstandige huis: ‘Weet julle nie wat hierdie dinge beteken nie?’ Sê: ‘Kyk! Die koning van Babilon het na Jerusalem gekom en sy koning en sy leiers geneem en hullesam met hom na Babilon toe geneem.^j **13** Verder het hy iemand van die koninklike nageslag^k geneem en 'n verbond

HFST. 17
a Ese 17:13, 14
b 2Kr 36:11
c Ese 17:15
d Jer 37:5, 7
e 2Kn 24:20
2Kr 36:11, 13
f Jer 37:1
g Jer 21:7
h 2Kn 25:7
i 2Kn 24:12, 14
Jes 39:7
Jer 22:24, 25
Jer 52:31, 32
j 2Kn 24:17
Jer 37:1

Tweede kol.

a 2Kr 36:11, 13
b 2Kn 24:15
Jer 24:1
c Jer 27:12
Jer 38:17
d 2Kn 24:20
2Kr 36:11, 13
e De 17:16
f Jer 37:5
g Jer 32:3, 4
h Jer 34:2, 3
Jer 52:11
i Jer 37:7, 8
Klg 4:17
Ese 29:6
j De 5:11
k Ese 12:13

met hom gemaak en hom onder 'n eed geplaas.^a Toe het hy die belangrike manne van die land weggeneem,^b **14** sodat die koninkryk verlaag sou word en nie in staat sou wees om homself te verhoog nie en dat dit net sou aanhou bestaan deur by sy verbond te bly.^c **15** Maar die koning het uiteindelik teen hom in opstand gekom^d deur sy boodskappers na Egipte te stuur om perde^e en 'n groot leërmag by hulle te kry.^f Sal hy suksesvol wees? Sal die een wat hierdie dinge doen, straf vryspring? Kan hy die verbond verbreek en nog steeds wegkom?^g

16 ““So waar as wat ek lewe,” sê die Soewereine Heer Jehovah, “hy sal in Babilon sterf, in die woonplek van die koning* wat hom^h koning gemaak het, die een vir wie se eed hy nie respek gehad het nie en wie se verbond hy verbreek het.^h **17** En Faraos groot leërmag en sy groot aantal soldate sal nie in die oorlog kan helpⁱ wanneer beleëringswalles opgerig word en beleëringsmure gebou word om baie lewens te vernietig nie. **18** Hy het 'n eed verwerp en 'n verbond verbreek. Al het hy 'n belofte gemaak,* het hy al hierdie dinge gedoen, en hy sal nie wegkom nie.”

19 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: “So waar as wat ek lewe, ek sal hom die gevolge laat dra omdat hy my eed verwerp het^j en my verbond verbreek het. **20** Ek sal my vangnet oor hom uitsprei, en hy sal in my net gevang word.^k Ek sal hom na Babilon bring en hom daar oordeel as gevolg van die ontrouheid wat

17:16 *D.w.s. Nebukadnesar. ^dD.w.s. Sedekia. 17:18 *Lett. “sy hand gegee”.

hy teenoor my gepleeg het.^a **21** Al die vlugteling van sy soldate sal met die swaard doodgemaak word, en dié wat oorby, sal in alle rigtings* verstrooi word.^b Dan sal julle moet weet dat ek, Jehovah, dit gesê het.”^c

22 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal ’n takkie van die top van die hoë sederboom^d vat en dit plant. Ek sal ’n sagte takkie^e van die boonste takkies afluk, en ek sal dit op ’n hoë en verhewe berg plant.^f **23** Ek sal dit op ’n hoë berg van Israel plant, en sy takke sal groei, en dit sal vrugte voortbring en ’n indrukwekkende sederboom word. En elke soort voël sal daaronder woon, in die skaduwee van sy blare. **24** Al die bome van die veld sal moet weet dat ek, Jehovah, die boom wat hoog is, verlaag het, en die boom wat laag is, verhoog het.^g Ek het die boom wat groen is, laat uitdroog, en die boom wat droog is, laat bloeïssels kry.^h Ek, Jehovah, het dit gesê en dit gedoen.””

18 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Wat beteken hierdie spreekwoord wat julle in die land van Israel gebruik: ‘Die pa’s het suur druiwe geëet, maar die kinders se tande word stomp?’ⁱ

3 “So waar as wat ek lewe,^j sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘julle sal nie aanhou om hierdie spreekwoord in Israel te gebruik nie. **4** Kyk! Al die siele* behoort aan my. Die siel van die pa sowel as die siel van die seun behoort aan my. Die siel^k wat sondig, sal sterf.

5 “Sê nou ’n man is regverdig en doen wat reg is. **6** Hy

17:21 *Lett. “na elke wind”. 18:4 *Of “lewens”. Sien Woordelys. *Of “persoon”. Sien Woordelys.

HFST. 17

a Ese 20:36

b Ese 12:14

c Ese 6:13

d Jes 11:1
Jer 23:5

e Jes 53:2

f Ps 2:6

g Jes 9:6
Ese 21:26, 27
Da 4:17
Am 9:11

h 1Sa 2:7, 8
Lu 1:52

HFST. 18

i Jer 31:29, 30

Tweede kol.

a De 12:2
Jer 3:6

b Le 20:10

c Le 18:19
Le 20:18

d Spr 14:21

e De 24:12, 13

f Le 6:2, 4

g De 15:11

h Jes 58:6, 7
Jak 2:15, 16

i Eks 22:25
Ps 15:5
Lu 6:34, 35

j Le 19:35

k Le 19:15
Le 25:14
De 1:16

l Le 18:5

m Le 19:13

n Ge 9:6
Eks 21:12

o De 15:7, 8

p Le 26:30

q 2Kn 21:11

r Ese 22:12

eet nie afgodsoffers op die berge nie.^a Hy kyk nie op na die walglike afgode* van die huis van Israel nie. Hy maak nie sy buurman se vrou onrein nie^b en het nie seksuele omgang met ’n vrou wat menstrueer nie.^c **7** Hy behandel niemand sleg nie,^d maar hy gee terug wat iemand as waarborg* vir sy skuld gegee het.^e Hy beroof niemand nie,^f maar hy gee sy eie kos aan die een wat honger is^g en bedek die een wat kaal is, met ’n kledingstuk.^h **8** Hy vra nie rente nie en maak nie onregverdige wins nie.ⁱ Hy benadeel niemand opsetlik nie,^j en hy oordeel regverdig tussen twee mense.^k **9** Hy hou aan om my wetsbepalings te volg en om my regterlike bevel te gehoorsaam sodat hy getrou kan optree. So ’n man is regverdig en sal beslis bly lewe,^l sê die Soewereine Heer Jehovah.

10 “Maar sê nou hy is die pa van ’n seun wat ’n rower^m is of ’n moordenaar*ⁿ of iemand wat enige van hierdie ander dinge doen **11** (al het die pa nie enige van hierdie dinge gedoen nie). Hierdie seun eet afgodsoffers op die berge, en hy maak sy buurman se vrou onrein. **12** Hy behandel mense wat swaarkry of wat arm is, sleg.^o Hy beroof ander, hy gee nie terug wat iemand as waarborg vir sy skuld gegee het nie, hy kyk op na walglike afgode,^p hy is besig met afskuwelike gebruike,^q **13** hy maak onregverdige wins en hy vra rente.^r Hierdie seun sal nie bly lewe nie. As gevolg van al hierdie afskuwelike

18:6 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ’n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui. 18:7 *Of “as ’n pand”. 18:10 *Lett. “bloedvergieter”.

ke dinge wat hy gedoen het, sal hy beslis doorgemaak word. Hy sal verantwoordelik wees vir sy eie dood.*

14 “Maar sê nou 'n pa het 'n seun wat al die sondes sien wat sy pa gepleeg het, en al sien hy dit, doen hy nie sulke dinge nie. **15** Hy eet nie afgodsoffers op die berge nie. Hy kyk nie op na die walglike afgode van die huis van Israel nie. Hy maak nie sy buurman se vrou onrein nie. **16** Hy behandel niemand sleg nie. Hy vat nie wat iemand as waarborg vir sy skuld gegee het nie. Hy beroof niemand nie. Hy gee sy eie kos vir die een wat honger is en bedek die een wat kaal is, met 'n kledingstuk. **17** Hy onderdruk nie mense wat arm is nie. Hy maak nie onregverdige wins nie en vra nie rente nie. Hy voer al my regterlike bevels uit, en hy gehoorsaam my wetsbepalings. So 'n man sal nie as gevolg van die sonde van sy pa sterf nie. Hy sal beslis bly lewe. **18** Maar omdat sy pa bedrog gepleeg het, een van sy eie mense beroof het en onder sy volk gedoen het wat verkeerd is, sal hy vir sy sonde sterf.

19 “Maar julle sal vra: “Hoe kom dra die seun nie enige skuld vir sy pa se sonde nie?” Omdat die seun gedoen het wat reg en regverdig is en al my wetsbepalings gehoorsaam het, sal hy beslis bly lewe.^a **20** Die siel* wat sondig, sal sterf.^b 'n Seun sal nie die skuld vir sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die skuld vir sy seun se sonde dra nie. Die regverdigheid van die een wat regverdig is, sal op hom alleen wees, en die goddeloosheid van die een wat goddeloos is, sal op hom alleen wees.^c

18:13 *Of “Sy bloed sal op hom wees”.
18:20 *Of “persoon”.

HFST. 18

a De 16:20
Ro 10:5

b De 24:16
Jer 31:30
Ese 18:4

c Jes 3:10,11
Ga 6:7

Tweede kol.

a Jes 55:7
Ese 3:21
Ese 33:12,19
Han 3:19

b 2Kr 33:12,13
Ps 25:7
Jes 43:25

c Ese 33:16

d Klg 3:33
Ese 33:11
1Ti 2:3,4
2Pe 3:9

e Mi 7:18

f Ese 33:12,18
Heb 10:38
2Jo 8

g Spr 21:16
Ese 3:20

h Job 35:2
Spr 19:3
Ese 33:17,20

i De 32:4

j Jes 55:9
Jer 2:17

k Jes 55:7
1Ti 4:16

21 “As iemand wat goddeloos is, wegdraai van al die sondes wat hy gepleeg het en gehoorsaam is aan al my wetsbepalings en doen wat reg en regverdig is, sal hy beslis bly lewe. Hy sal nie sterf nie.^a

22 Nie een van sy sondes sal teen hom gehou word* nie.^b Hy sal bly lewe omdat hy doen wat regverdig is.^c

23 “Gee die dood van 'n goddelose my enige vreugde?^d vra die Soewereine Heer Jehovah. ‘Sou ek nie eerder wou hê dat hy moet ophou met wat hy doen en bly lewe nie?’^e

24 “Maar as iemand wat regverdig is, ophou doen wat regverdig is en doen wat verkeerd is* en al die afskuwelike dinge doen wat die goddeloses doen, sal hy lewe? Nie een van sy regverdige dade sal onthou word nie.^f Hy sal sterf vir sy ontrouheid en vir die sonde wat hy gepleeg het.^g

25 “Maar julle sal sê: “Jehovah tree nie regverdig op nie.”^h Luister asseblief, o huis van Israel! Is dit ek wat nie regverdig optree nie?ⁱ Is dit nie julle wat nie regverdig optree nie?^j

26 “Wanneer iemand wat regverdig is, ophou doen wat regverdig is en doen wat verkeerd is en as gevolg hiervan sterf, sal hy as gevolg van sy eie verkeerde dade sterf.

27 “En wanneer iemand wat goddeloos is, ophou met sy goddelose dade en begin doen wat reg en regverdig is, sal hy sy lewe red.^k **28** Wanneer hy dit besef en ophou met al sy verkeerde dade, sal hy beslis bly lewe. Hy sal nie sterf nie.

29 “Maar die huis van Israel sal sê: “Jehovah tree nie

18:22 * Lett. “sal onthou word”. **18:24** *Of “onreg doen”.

regverdig op nie.” Is dit werklik ek wat nie regverdig optree nie, o huis van Israel?^a Is dit nie julle wat nie regverdig optree nie?

30 “Daarom sal ek elkeen van julle volgens sy dade oordeel,^b o huis van Israel,’ sê die Soewereine Heer Jehovah. ‘Hou op, ja, hou heeltemal op met julle verkeerde dade sodat hulle nie ’n struikelblok sal wees wat skuld oor julle bring nie. **31** Verwyder al julle sondes van julle af^c en verkry* ’n nuwe hart en ’n nuwe gees,^d want hoekom moet julle sterf,^e o huis van Israel?’

32 “Dit maak my nooit bly as iemand sterf nie,^f sê die Soewereine Heer Jehovah. ‘Draai dus terug en lewe.’^g”

19 “Jy moet ’n treurlied oor die hoofmanne van Israel sing **2** en sê:

‘Wat was jou ma? ’n Leeuw-
wyfie tussen leeus.

Sy het tussen sterk jong
leeus* gaan lê en haar
welpies grootgemaak.

3 Sy het een van haar welpies
grootgemaak, en hy het ’n
sterk jong leeu geword.^h

Hy het geleer hoe om
prooi te verskeur.

Hy het selfs mense verslind.

4 Nasies het van hom gehoor
en hom in hulle put
gevang,
en hulle het hom met hake
na Egipte gebring.ⁱ

5 Sy het gewag en uiteindelik
gesien dat daar geen hoop
is dat hy sal terugkom nie.
Toe het sy nog een van haar
welpies gevat en hom as ’n
sterk jong leeu uitgestuur.

6 Hy het ook onder die leeus
rondgeleer en ’n sterk
jong leeu geword.

HFST. 18

a Ge 18:25
Ps 145:17
Jes 40:14

b Job 34:11
Ro 2:6

c Ps 34:14
Jes 1:16

d Ps 51:10
Jer 32:39
Ese 11:19
Ef 4:23, 24

e De 30:15
Spr 8:36
Han 13:46

f Jer 29:11
Klg 3:33
Ese 33:11
Lu 15:10
2Pe 3:9

g De 30:16

HFST. 19

h 2Kr 36:1

i 2Kn 23:31-34
2Kr 36:4
Jer 22:11, 12

Tweede kol.

a Jer 22:17

b Spr 28:15

c Ps 80:8
Jes 5:7

d Jes 5:5
Ese 15:6

e 2Kn 23:34
2Kn 24:6
2Kn 25:5-7

f De 32:22
Ese 15:4

g De 28:48
Jer 17:5, 6
Jer 52:27

Hy het geleer hoe om prooi
te verskeur, en hy het selfs
mense verslind.^a

7 Hy het tussen hulle ver-
sterkte torings rond-
gesluip en hulle stede
verwoes.

Die verlate land is gevul met
die geluid van sy gebrul.^b

8 Nasies van die omliggende
gebiede het hom begin
aanval en ’n vangnet oor
hom gegooi,

en hy is in hulle put gevang.

9 Hulle het hom met hake in
’n hok gesit en hom na die
koning van Babilon toe
gebring.

Hulle het hom opgesluit
sodat sy stem nie meer
op die berge van Israel
gehoor sou word nie.

10 Jou ma was soos ’n wingerd-
stok^c in jou bloed,^{*} geplant
by waters.

Sy het vrugte gedra en was
vol takke weens die oor-
vloed water.

11 Sy het sterk takke gekry,
geskik vir die septers
van heersers.

Sy het gegroei en bo die
ander bome uitgetroon,
en sy kon gesien word om-
dat sy so hoog was en
soveel blare gehad het.

12 Maar sy is in woede uitge-
ruk^d en na die grond toe
neergegooi,

en ’n oostewind het haar
vrugte laat uitdroog.

Haar sterk takke is afgeruk
en het uitgedroog,^e en
vuur het dit verteer.^f

13 Nou is sy in die wildernis
geplant,

in ’n waterlose, droë land.^g

14 Die vuur het van haar takke
versprei en haar takkies
en vrugte verteer,

18:31 *Lett. “maak vir julleself”. 19:2
*Of “tussen jong maanhaarleeus”.

19:10 *Of moontlik “in jou wingerd”.

en daar het nie 'n enkele sterk tak oorgebly nie, geen septer om mee te regeer nie.^a

“Dit is 'n treurlied, en dit sal as 'n treurlied gebruik word.”

20 En in die sewende jaar, in die vyfde maand, op die tiende dag van die maand, het party van die ouerманne van Israel gekom en voor my gaan sit om Jehovah vir raad te vra. **2** Toe het Jehovah met my gepraat en gesê: **3** “Mensekind, praat met die ouerманne van Israel en sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Kom julle om my vir raad te vra? ‘So waar as wat ek lewe, ek sal nie op julle vrae reageer nie,^b sê die Soewereine Heer Jehovah.”

4 “Is jy gereed om hulle te oordeel?^c Is jy gereed om hulle te oordeel, mensekind? Vertel hulle van die afskuwelike dinge wat hulle voorvaders gedoen het.^c **5** Sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Die dag toe ek Israel gekies het,^d het ek ook vir die nageslag* van die huis van Jakob gesweer^e en my in Egipte aan hulle bekend gemaak.^e Ja, ek het vir hulle gesweer en gesê: ‘Ek is Jehovah julle God.’ **6** Op daardie dag het ek gesweer dat ek hulle uit Egipte sou uitlei na 'n land wat ek vir hulle uitgekies* het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.^f Dit was die mooiste^g van al die lande. **7** Toe het ek vir hulle gesê: ‘Elkeen van julle moet die afskuwelike dinge wat voor julle oë is, weggooi. Moenie julleself onrein maak met die walg-

20:4 *Of “om oordeel oor hulle uit te spreek”. **20:5** *Lett. “saad”. ^aLett. “my hand opgelig”. **20:6** *Of “verken”. ^bOf “die sieraad”.

HFST. 19
a Ese 17:16, 18

HFST. 20
b Jes 1:12, 15
Ese 14:3

c Ese 16:51
Ese 22:2
Lu 11:47

d De 7:6

e Eks 4:31
Eks 6:7, 8

f Eks 3:8

Tweede kol.

a Le 18:3
De 29:16, 17
Jos 24:14

b Le 20:7

c Eks 32:4

d Nu 14:13-16
De 9:27, 28
1Sa 12:22

e Eks 32:11, 12
Jos 2:9, 10
Jos 9:3, 9
1Sa 4:7, 8

f Eks 13:17, 18
Eks 15:22

g De 4:8

h De 8:3
De 30:16

i Eks 20:8-10
Le 23:3, 24
Le 25:4, 11

j Eks 31:13
Eks 35:2

k Eks 32:8
Nu 14:22, 23

l Nu 14:11, 12

like afgode* van Egipte nie.^a Ek is Jehovah julle God.’^b

8 ““Maar hulle het teen my in opstand gekom en wou nie na my luister nie. Hulle het nie die afskuwelike dinge weggegooi wat voor hulle was nie, en hulle wou nie die walglike afgode van Egipte verlaat nie.^c Ek het dus belowe om my woede in Egipte oor hulle uit te stort en dit heeltemal teen hulle los te laat. **9** Maar ek het ter wille van my naam opgetree, sodat dit nie onheilig sou word voor die nasies onder wie hulle* gelewe het nie.^d Ek het my voor hierdie nasies aan hulle* bekend gemaak toe ek hulle uit Egipte uitgelei het.^e **10** Ek het hulle dus uit Egipte uitgelei en hulle na die wildernis geneem.^f

11 ““Toe het ek my wetsbepalings aan hulle gegee en my regterlike bevel aan hulle bekend gemaak,^g sodat die mens wat dit gehoorsaam, as gevolg daarvan kan bly lewe.^h **12** Ek het ook my sabbatte aan hulle gegeeⁱ as 'n teken tussen my en hulle,^j sodat hulle sou weet dat ek, Jehovah, die een is wat hulle heilig.

13 ““Maar die huis van Israel het in die wildernis teen my in opstand gekom.^k Hulle was nie gehoorsaam aan my wetsbepalings nie, en hulle het my regterlike bevel verwerp, wat lewe beteken vir die een wat dit gehoorsaam. Hulle het my sabbatte heeltemal onheilig. Daarom het ek belowe om my woede in die wildernis oor hulle uit te stort en hulle uit te roei.^l **14** Ek het ter wille van my naam opgetree sodat dit nie

20:7 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan 'n woord vir “ontlusting” en word gebruik om veragting aan te dui. **20:9** *D.w.s. Israel.

ontheilig sou word voor die nasies wat gesien het hoe ek hulle* uitgelei het nie.^a **15** Ek het ook in die wildernis vir hulle gesweer dat ek hulle nie na die land sou bring wat ek aan hulle gegee het nie^b – 'n land wat oorloop van melk en heuning,^c die mooiste* van al die lande – **16** omdat hulle my regterlike bevel verwerp het, my wetsbepalings nie gehoorsaam het nie en my sabbatte ontheilig het, want hulle harte het agter hulle walglike afgode aan ge gaan.^d

17 “Maar ek* het vir hulle jammer gevoel, en ek het hulle nie vernietig nie. Ek het hulle nie in die wildernis uitgeroei nie. **18** Ek het vir hulle kinders in die wildernis gesê:^e ‘Moenie volgens die wetsvoorskrifte van julle voorvaders^f lewe nie, en moenie hulle regterlike bevel onderhou nie, en moenie julle met hulle walglike afgode onrein maak nie. **19** Ek is Jehovah julle God. Gehoorsaam my wetsbepalings, en onderhou my regterlike bevel en voer dit uit.^g **20** En heilig my sabbatte,^h en dit sal as 'n teken tussen my en julle dien, sodat julle kan weet dat ek Jehovah julle God is.’ⁱ

21 “Maar die kinders het teen my in opstand begin kom.^j Hulle het nie my wetsbepalings gehoorsaam nie, en hulle het nie my regterlike bevel onderhou en uitgevoer, wat lewe beteken vir die een wat dit gehoorsaam nie. Hulle het my sabbatte ontheilig. Toe het ek belowe om my woede in die wildernis oor hulle uit te stort en dit heeltemal teen hulle los te laat.^k **22** Maar ek het dit nie gedoen

20:14, 22 *D.w.s. Israel. 20:15 *Of “die sieraad”. 20:17 *Lett. “my oog”.

HFST. 20

a Jos 7:9
Ese 36:22

b Nu 14:30
Ps 95:11
Ps 106:26, 27

c Nu 13:26, 27

d Eks 32:1, 4
Nu 25:1, 2
Han 7:42

e Nu 14:33

f Ps 78:8

g De 4:1

h Jer 17:22

i Eks 31:13

j Nu 25:1
De 9:23

k Jes 63:10

Tweede kol.

a Ps 78:38

b Ps 25:11
Ps 79:9
Jer 14:7
Da 9:19

c Le 26:33
Ps 106:26, 27

d Le 26:15, 16

e Jer 2:7

f Ps 81:12

g Le 18:21
Jer 7:31

h Jos 23:5

i De 12:2

j Ese 16:24, 25

nie^a en het ter wille van my naam opgetree,^b sodat dit nie ontheilig sou word voor die nasies wat gesien het hoe ek hulle* uitgelei het nie. **23** Ek het ook in die wildernis vir hulle gesweer dat ek hulle onder die nasies sou verstrooi en hulle in die lande sou versprei,^c **24** omdat hulle nie my regterlike bevel uitgevoer het nie en my wetsbepalings verwerp het^d en my sabbatte ontheilig het en hulle* agter die walglike afgode van hulle voorvaders aan gegaan het.^e **25** Ek het hulle ook toegelaat om wetsvoorskrifte te hê wat nie goed was nie en regterlike bevel waardeur hulle nie kon bly lewe nie.^f **26** Ek het hulle onrein laat word deur hulle eie offerandes – wanneer hulle elke eersgeborene as 'n offerande in die vuur verbrand* het^g – sodat hulle verlate gemaak sou word, sodat hulle sou weet dat ek Jehovah is.”

27 “Praat dus met die huis van Israel, o mensekind, en sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Julle voorvaders het ook op hierdie manier teen my gelaster deur ontrou aan my te wees. **28** Ek het hulle na die land gebring wat ek gesweer het om aan hulle te gee.^h Toe hulle al die hoë heuwels en blaaryke bome sien,ⁱ het hulle begin om hulle offerandes te bring en hulle aanstootlike offers te gee. Daar het hulle die aangename* geure van hulle offerandes aangebied en hulle drankoffers uitgegooi. **29** Toe het ek vir hulle gevra: ‘Wat beteken hierdie offerhoogte waarheen julle gaan? (Dit word tot vandag toe Offerhoogte genoem.)”’^j

20:24 *Lett. “hulle oë”. 20:26 *Of “deur die vuur laat gaan”. 20:28 *Of “kalmerende”. Lett. “rustige”.

30 “Sê nou vir die huis van Israel: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vra: “Maak julle julle op dieselfde manier onrein as julle voorvaders? Is julle nie ontrou aan my* deur agter hulle walglike afgode aan te gaan nie?’^a **31** En maak julle julle tot vandag toe nog steeds onrein deur offerandes te bring aan al julle walglike afgode, deur julle kinders as offerandes in die vuur te verbrand?#^b Moet ek dan reageer op julle vrae, o huis van Israel?’”^c

“So waar as wat ek lewe,’ sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘ek sal nie op julle vrae reageer nie.’^d **32** En wat julle in gedagte het* wanneer julle sê: “Laat ons soos die nasies word, soos die families van die ander lande, wat hout en klip aanbid,”#^e sal nooit gebeur nie.”

33 “So waar as wat ek lewe,’ sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘ek sal as koning oor julle regeer met ’n sterk hand, met ’n uitgestrekte arm en met woede wat uitgestort is.’^f **34** Ek sal julle onder die volke uitlei en julle bymekaarmaak uit die lande waarheen julle verstrooi is met ’n sterk hand, met ’n uitgestrekte arm en met woede wat uitgestort is.’^g **35** Ek sal julle na die wildernis van die volke bring en julle daar persoonlik* oordeel.’^h

36 “Soos ek julle voorvaders in die wildernis van Egipte geoordeel het, so sal ek julle oordeel,’ sê die Soewereine Heer Jehovah. **37** ‘Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan’ en julle onder verpligting

20:30 *Of “Pleeg julle nie geestelike prostitusie”. **20:31** *Of “deur die vuur te laat gaan”. **20:32** *Lett. “in julle gees opkom”. *Of “dien”. **20:35** *Lett. “van aangesig tot aangesig”.

HFST. 20

a Rig 2:19
2Kr 21:13
Jer 13:26, 27b De 18:10, 12
Ps 106:36-38
Jer 7:31

c Jes 1:15

d Sag 7:13

e Jer 44:17

f Jer 21:5
Ese 8:18g Jes 27:13
Ese 34:16

h Jer 2:9

i Le 27:32
Ese 34:17

Tweede kol.

a Ese 34:20, 21

b Ese 13:9

c Rig 10:14
Ps 81:12d Jes 1:13
Ese 23:39e Jes 2:2, 3
Jes 66:20f Jes 56:7
Sag 8:22

g Mal 3:4

h Jes 11:11
Jer 23:3i Jes 5:16
Ese 38:23

j Ese 36:23

k Ese 11:17

l Le 26:40
Ese 6:9
Ese 16:61

m Jer 31:18

plaas om die verbond te hou.* **38** Maar ek sal dié wat teen my in opstand kom en teen my sondig, onder julle verwyder.^a Ek sal hulle uit die land uitlei waar hulle as uitlanders gewoon het, maar hulle sal nie die land van Israel binnegaan nie,^b en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.’

39 “En julle, o huis van Israel, dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Gaan dien elkeen sy walglike afgode.’^c Maar as julle daarna nie na my luister nie, sal julle my heilige naam nie meer deur julle offerandes en julle walglike afgode kan ontheilig nie.’^d

40 “‘Want op my heilige berg, op ’n hoë berg van Israel,’^e sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘sal die hele huis van Israel, hulle almal, my in die land dien.’^f Daar sal hulle my goedkeuring hê, en ek sal verwag dat julle julle bydraes en julle beste offers,* al julle heilige dinge, moet gee.’^g **41** Weens die aangenane* geur sal julle my goedkeuring hê wanneer ek julle onder die volke uitlei en julle bymekaarmaak uit die lande waarheen julle verstrooi is.’^h En ek sal onder julle geheilig word voor die oë van die nasies.’ⁱ

42 “‘En julle sal moet weet dat ek Jehovah is’^j wanneer ek julle na die land van Israel bring,^k na die land wat ek gesweer het om aan julle voorvaders te gee. **43** Daar sal julle dink aan julle gedrag en al julle dade waardeur julle julle self onrein gemaak het,^l en julle* sal skaam kry oor al die slegte dinge wat julle gedoen het.’^m

20:37 *Lett. “in die band van die verbond bring”. **20:40** *Of “die eersteling van julle offers”. Sien Woordelys. **20:41** *Of “kalmereende”. Lett. “rustige”. **20:43** *Lett. “julle aangesig”.

44 Dan sal julle moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek teen julle optree ter wille van my naam,^a nie volgens julle slegte gedrag of volgens die goddelose ding wat julle gedoen het nie, o huis van Israel,' sê die Soewereine Heer Jehovah."

45 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **46** "Mensekind, kyk nou in die rigting van die suidelike deel en getuig teen die suide, en profeteer teen die woud van die suidelike land.

47 Sê vir die woud van die suide: 'Hoor die woord van Jehovah. Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Ek steek 'n vuur aan teen jou,^b en dit sal elke groen boom en elke droë boom in jou verteer. Die brandende vlam sal nie geblus word nie,^c en elke gesig sal daardeur geskroei word, van suid tot noord. **48** En alle mense* sal sien dat ek, Jehovah, dit aan die brand gestee het, en dit sal nie geblus word nie."^{""d}

49 En ek het gesê: "Ag, Soewereine Heer Jehovah! Hulle sê van my: 'Hy praat altyd net in raaisels!'"^{""}

21 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** "Mensekind, draai jou gesig na Jerusalem en getuig teen die heilige plekke en profeteer teen die land van Israel. **3** Sê vir die land van Israel: 'Dit is wat Jehovah sê: "Ek is teen jou, en ek sal my swaard uittrek^e en die regverdige sowel as die goddelose uit jou uitroei. **4** Omdat ek die regverdige en die goddelose uit jou sal uitroei, sal my swaard uitgetrek word teen alle mense,* van die suide tot die noorde. **5** Alle mense sal moet weet dat ek, Jehovah, my

20:48; 21:4 *Lett. "vlees". 20:49 *Of "spreekwoorde".

HFST. 20

a Ps 79:9
Ese 36:22, 23

b De 32:22
Jer 21:14

c Jes 66:24

d 2Kr 7:20
Klg 2:17

HFST. 21

e Le 26:33

Tweede kol.

a Jer 23:20

b Jes 22:4
Jer 4:19
Ese 9:8

c Ese 7:15-17

d Jes 66:16
Jer 12:12
Am 9:4

e Ge 49:10
2Sa 7:12, 14

f Jer 25:9
Jer 51:20

g Ese 9:8
Mi 1:8

h Ese 19:1

i Jer 6:27

j 2Kn 25:7
Ese 19:14
Ese 21:26

swaard uitgetrek het. Dit sal nie weer teruggesit word nie."^a

6 "En jy, mensekind, sug terwyl jy* bewe, ja, sug met bitterheid voor hulle.^b **7** En as hulle vir jou vra: 'Hoekom sug jy?' sal jy sê: 'Weens 'n berig.' Want dit sal beslis kom, en elke hart sal smelt van vrees, elke hand sal slap hang, elke gees sal terneergedruk raak, en elke knie sal van water drup.^{*c} 'Kyk! Dit sal beslis kom - dit sal gebeur,' sê die Soewereine Heer Jehovah."

8 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **9** "Mensekind, profeteer en sê: 'Dit is wat Jehovah sê: "Sê: "n Swaard! 'n Swaard^d is skerp gemaak, en dit is blink gevryf. **10** Dit is skerp gemaak vir 'n groot slagting. Dit is blink gevryf om soos weerlig te flits."^{""}

"Moet ons nie bly wees nie?"

"Sal dit* die septer van my seun verwerp,^e soos dit elke boom verwerp?"

11 "Dit word gegee om blink gevryf te word en om met die hand geswaai te word. Hierdie swaard is skerp gemaak en blink gevryf, om dit in die hand te gee van iemand wat doodmaak.^f

12 "Roep uit en treur,^g mensekind, want dit het teen my volk gekom. Dit is teen al die hoofmanne van Israel.^h Hulle sal saam met my volk slagoffers van die swaard wees. Slaan dus op jou bobeen omdat jy treur. **13** Want daar is ondersoek ingestel.ⁱ En wat sal gebeur as die swaard die septer verwerp? Die septer sal nie meer bestaan nie,^j sê die Soewereine Heer Jehovah.

14 "En jy, mensekind - profeteer en klap jou hande en her-

21:6 *Lett. "jou heupe". 21:7 *D.w.s., hulle sal uit vrees urineer. 21:10 *D.w.s. Jehovah se swaard.

haal drie keer: "n Swaard! Dit is die swaard van die slagoffers, die swaard van 'n groot slagting, wat hulle omsingel.^a **15** Hulle harte sal smelt van vrees,^b en baie sal by hulle stadspoorte val. Ek sal 'n slagting met die swaard veroorsaak. Ja, dit flits soos weerlig en is blink gevryf vir 'n slagting! **16** Kap na regs! Swaai na links! Volg die rigting van jou lem! **17** Ek sal ook my hande klap en my woede laat bedaar.^c Ek, Jehovah, het gepraat."

18 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **19** "Mensekind, merk twee paaie af waarlangs die swaard van die koning van Babilon kan kom. Albei sal uit dieselfde land kom, en 'n padteken* moet opgestel word waar die pad na die twee stede afdraai. **20** Jy moet een pad merk waarlangs die swaard kan kom teen Rabba^d van die Ammoniete, en die ander een teen die versterkte stad Jerusalem^e in Juda. **21** Want die koning van Babilon gaan staan by die vurk in die pad, waar die twee paaie skei, om deur middel van voorspellings uit te vind wat hy moet doen. Hy skud die pyle. Hy raadpleeg sy afgode.* Hy ondersoek die lewer. **22** Die antwoord in sy regterhand, wat hy deur middel van die voorspellings kry, wys na Jerusalem. Dit sê dat hy stormramme moet opstel, die teken vir die slagting moet gee, die oorlogskreet moet laat hoor, stormramme teen die poorte moet opstel, 'n beleëringswal moet oprig, 'n beleëringsmuur moet bou.^f **23** Maar dit sal soos valse voorspellings lyk vir die mense* wat 'n eed aan hulle gesweer het.^g

21:19, 24 *Lett. "hand". 21:21 *Lett. "die terafim". 21:23 *D.w.s. die inwoners van Jerusalem.

HFST. 21

a 2Kn 25:1, 2

b Ese 21:7

c Jes 1:24
Ese 5:13
Ese 16:42

d Jer 49:2
Ese 25:5
Am 1:14

e 2Sa 5:9
2Kr 26:9
2Kr 32:2, 5
2Kr 33:1, 14

f Jer 32:24
Jer 52:4

g 2Kr 36:11, 13
Ese 17:13

Tweede kol.

a 2Kn 25:6, 7

b 2Kr 36:11, 13
Jer 24:8
Jer 52:1, 2
Ese 17:19

c 2Kn 25:5-7
Jer 52:8, 11
Ese 12:12, 13

d Ese 21:13

e Ps 75:7
Da 4:17

f Lu 4:37
Lu 21:24

g Ge 49:10
Ps 89:3, 4
Ps 110:1
Jes 9:6
Jes 11:10
Lu 1:32, 33
Op 5:5

h Ps 2:6, 8
Da 7:13, 14
Lu 22:29

i Ese 25:5

Hy onthou egter hulle skuld en sal hulle gevange neem.^a

24 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Julle het self veroorsaak dat julle skuld onthou word deur julle sondes te openbaar en sigbaar te maak in alles wat julle doen. Nou dat julle onthou word, sal julle deur die vyand* gegryp word.'

25 "Maar jou dag het gekom, o dodelik gewonde, goddelose hoofman van Israel,^b die tyd van jou laaste straf. **26** Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Verwyder die tulband en haal die kroon af.^c Dit sal nie dieselfde bly nie.^d Verhoog die een wat laag is^e en verlaag die een wat hoog is.^f **27** Ek sal dit verwoes, ek sal dit verwoes, ek sal dit verwoes.* En dit sal aan niemand behoort nie totdat die een kom wat die wetlike reg het,^g en ek sal dit aan hom gee.^h

28 "En jy, mensekind, profeteer en sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê oor die Ammoniete en oor hulle beledigings.' Sê: "'n Swaard! 'n Swaard word vir 'n slagting uitgetrek. Dit is blink gevryf om te verslind en om soos weerlig te flits. **29** Ten spyte van die valse visioene en voorspellings oor jou, sal jy opgestapel word op dié* wat doodgemaak is, die goddeloses wie se dag gekom het, die tyd van hulle laaste straf. **30** Sit jou swaard terug. Ek sal jou oordeel in die plek waar jy geskep is, in die land waarvandaan jy kom. **31** Ek sal met woede teen jou optree. Ek sal jou vernietig met my brandende woede, en ek sal jou in die hand van wrede mense gee, mense wat vernietiging veroorsaak.ⁱ **32** Jy sal deur die vuur

21:27 *Of "n Puinhoop, 'n puinhoop, 'n puinhoop sal ek dit maak". 21:29 *Lett. "op die nekke van dié".

verbrand word.^a Jou eie bloed sal in die land uitgestort word. Jy sal nie meer onthou word nie, want ek, Jehovah, het gepraat.”

22 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, is jy bereid om oordeel uit te spreek oor die bloedskuldigte stad^b en om al haar afskuwelike dinge aan haar bekend te maak?^c **3** Jy moet sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “O stad wat bloed uitstort,^d wie se tyd kom,^e wat walglike afgode* maak om haarself onrein te maak,^f **4** die bloed wat jy uitgestort het, het jou skuldig gemaak,^g en jou walglike afgode het jou onrein gemaak.^h **5** Jy het die einde van jou dae vinniger laat nader kom, en die einde van jou jare het gekom. Daarom sal ek van jou iets maak wat deur die nasies bespot word en deur al die lande uitgelag word.ⁱ **5** Die lande wat naby is en die lande wat ver van jou af is, sal jou bespot.^j Jou naam is onrein, en jy is vol verwarring. **6** Kyk! In jou gebruik elkeen van die hoofmanne van Israel sy gesag om mense dood te maak.^k **7** In jou behandel hulle hulle pa en ma sonder respek.^l Hulle buit die uitlander uit en behandel die weeskind* en die weduwee sleg.”^m”

8 “Jy het geen respek vir my heiligdomme nie, en jy ontheilig my sabbatte.ⁿ **9** In jou is daar lasteraars wat daarop uit is om mense dood te maak.^o Mense eet offerandes op die berge en gedra hulle op ’n afstootlike manier.^p **10** Hulle onteer hulle pa

22:3 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ’n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui. **22:7** *Lett. “vaderlose seun”.

HFST. 21

a Jer 49:2, 3

HFST. 22

b 2Kn 21:16

Jer 2:34

Mt 23:37

c Ese 16:51

d Ese 24:6

e Ese 12:25

f 2Kn 21:11

g Ge 9:6

h Le 26:30

Ese 23:37

i De 28:37

1Kn 9:7

Ps 80:6

Ese 23:32

Da 9:16

j Ps 79:4

k Jes 1:23

Mi 3:1-3

Sef 3:3

l De 27:16

m Eks 22:21, 22

Ps 82:3

Jes 1:17

n Le 19:30

o Eks 23:1

Le 19:16

p Jer 13:27

Tweede kol.

a Le 18:7

Le 20:11

b Le 18:19

Le 20:18

c Le 18:20

Le 20:10

Jer 5:8

d Le 18:15

e Le 20:17

f Eks 23:8

De 27:25

Jes 1:23

g De 23:19

h Eks 22:25

Le 6:4, 5

i Ese 21:7

j De 4:27

De 28:25

k Jes 1:25

Ese 23:27

l Ese 6:13

m Spr 17:3

Jer 6:28-30

n Ps 119:119

Spr 25:4

se bed*^a en slaap by ’n vrou wat onrein is omdat sy menstrueer.^b

11 In jou doen een man iets afskuweliks met sy buurman se vrou,^c ’n ander maak sy skoon-dogter onrein deur afstootlike gedrag,^d en ’n ander slaap by sy suster, die dogter van sy pa.^e **12** In jou aanvaar hulle ’n omkoopgeskenk om mense dood te maak.^f Jy vra rente of maak wins* wanneer jy geld uitleen,^g en jy pers jou bure af vir geld.^h Ja, jy het my heeltemal vergeet,ⁱ sê die Soewereine Heer Jehovah.

13 “Kyk! Ek klap my hande omdat jy vir my walglik is as gevolg van die oneerlike wins wat jy gemaak het en die dae van bloedskul in jou. **14** Sal jy moedig bly,* en sal jou hande sterk bly wanneer ek teen jou optree? Ek, Jehovah, het gepraat en sal optree. **15** Ek sal jou onder die nasies verstrooi en jou in die lande versprei,^j en ek sal ’n einde maak aan jou onreinheid.^k **16** Jy sal onteer word voor die nasies, en jy sal moet weet dat ek Jehovah is.”^l”

17 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **18** “Mensekind, die huis van Israel het vir my soos waardelose metaalskuim geword. Hulle almal is koper en tin en yster en lood in ’n smeltoond. Hulle het die metaalskuim van silwer geword.^m

19 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: ‘Omdat julle almal soos waardelose metaalskuim geword het,ⁿ maak ek julle in Jerusalem bymekaar. **20** Net soos silwer en koper en yster en lood en tin in ’n smeltoond bymekaargemaak word

22:10 *Lett. “ontbloom die naaktheid van hulle pa”. **22:12** *Of “onregverdige wins”. **22:14** *Lett. “Sal jou hart uithou”.

sodat vuur daarop geblaas kan word en dit gesmelt kan word, so sal ek julle in my groot woede bymekaarmaak, en ek sal op julle blaas en julle laat smelt.^a

21 Ek sal julle bymekaarbring en met die vuur van my woede op julle blaas,^b en julle sal gesmelt word in die stad.^c **22** Net soos silwer in 'n smeltoond gesmelt word, so sal julle in die stad gesmelt word, en julle sal moet weet dat ek, Jehovah, my woede oor julle uitgestort het.”

23 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **24** “Mensekind, sê vir Jerusalem: ‘Jy is 'n land wat nie gereinig sal word nie, waarop geen reën in die dag van woede sal val nie.

25 Haar profete het planne in haar beraam,^d soos 'n brullende leeu wat prooi verskeur.^e Hulle verslind mense. Hulle vat skatte en kosbare dinge. Hulle het baie weduwees in haar gemaak.

26 Haar priesters het my wet oortree,^f en hulle bly my heiligdomme onheilig.^g Hulle maak nie 'n onderskeid tussen wat heilig is en wat nie heilig is nie,^h en hulle maak nie bekend wat onrein is en wat rein is nie,ⁱ en hulle weier om my sabbatte te hou, en ek word onder hulle onheilig. **27** Die leiers in haar is soos wolwe wat prooi verskeur. Hulle stort bloed uit en maak mense dood om onregverdige wins te maak.^j **28** Maar haar profete het hulle daade met witkalk toegepleister. Hulle sien valse visioene en maak bedrieglike voorspellings,^k en hulle sê: “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê,” terwyl Jehovah dit nie gesê het nie. **29** Die volk van die land het ander uitgebuut en beroof,^l en hulle het dié wat hulpeloos en arm is, sleg behandel, en hulle het die uitlander

HFST. 22

a Ese 21:31

b De 4:24
Ps 21:9
Jer 21:12

c Ps 68:2

d Jer 5:31
Jer 6:13, 14

e Mi 3:5

f Jer 2:8
Klg 4:13
Mi 3:11

g Le 20:3
Le 22:2

h Le 10:10

i Le 11:46, 47

j Mi 3:1-3
Sef 3:3

k Jes 30:10
Jer 23:25
Klg 2:14
Ese 13:9, 10

l Jer 1:23
Jes 3:14
Jer 21:12
Mi 2:2

Tweede kol.

a Eks 32:11
Ps 106:23

HFST. 23

b Jer 3:6, 7

c Le 17:7
De 29:16, 17
Jos 24:14
Ese 20:8

d 1Kn 16:23, 24

e 1Kn 14:16
1Kn 21:25, 26

f Ho 2:5

g 2Kn 15:19
2Kn 17:3
Ho 5:13
Ho 7:11

h Ho 5:3

uitgebuit en gekeer dat hy regverdig behandel word.’

30 “‘Ek het bly soek na 'n man onder hulle wat die klipmuur sou herstel of wat voor my oë in die opening sou staan om die land te beskerm sodat dit nie vernietig sou word nie,^a maar ek het niemand gevind nie. **31** Daarom sal ek met woede teen hulle optree en hulle met die vuur van my woede vernietig. Ek sal hulle die gevolge van hulle daade laat dra,^b sê die Soewereine Heer Jehovah.”

23 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, daar was twee vrouens wat dogters van dieselfde ma was.^b **3** Hulle het prostitute in Egipte geword.^c Van jongs af het hulle prostitusie gepleeg. Daar is hulle bors-te gedruk, en hulle maagdelike bors-te is gestreel. **4** Die naam van die oudste was Oho'la,^d en haar suster was Oho'liba.^e Hulle het myne geword en aan seuns en dogters geboorte gegee. Oho'la is Samari'a^d en Oho'liba is Jerusalem.

5 “Oho'la het prostitusie begin pleeg terwyl sy aan my behoort het. Sy het die mans beeger met wie sy 'n seksuele verhouding gehad het,^f haar bure die Assiriërs.^g **6** Hulle was goewerneys in blou klere, asook amptenare – hulle was almal beegerlike jong manne wat op hulle perde ry. **7** Sy het aangehou om prostitusie te pleeg met al die beegerlikste seuns van Assirië, en sy het haarself onrein gemaak^h met die walglike afgode* van dié vir

23:4 *Betekens “haar tent”. #Betekens “my tent is in haar”. **23:7** *Die Hebreuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan 'n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui.

wie sy 'n seksuele begeerte gehad het. **8** Sy het nie opgehou met die prostitusie wat sy in Egipte gepleeg het nie, want hulle het by haar geslaap toe sy nog jonk was en het haar maagdelike borste gestreel en hulle onsedelikheid oor haar uitgestort.^a **9** Ek het haar dus in die hand gegee van die mans met wie sy 'n seksuele verhouding gehad het, die seuns van Assi'rië,^b wat sy bekeer het. **10** Hulle het haar kaal uitgetrek^c en haar seuns en dogters gevang^d en haar met 'n swaard doodgemaak. Sy het 'n slegte reputasie onder die vrouens gekry, en hulle het haar geoordeel en gestraf.

11 "Toe haar suster, Oho'liba, dit sien, het sy selfs nog slegter dinge begeer, en haar prostitusie was erger as haar suster s'n.^e **12** Sy het 'n seksuele begeerte gehad vir haar bure, die seuns van Assi'rië,^f die goewerneys en amptenare wat pragtige klere gedra het en op perde gery het – almal begeerlike jong manne. **13** Toe sy haarself onrein gemaak het, het ek gesien dat hulle albei op dieselfde manier opgetree het.^g **14** Maar sy het al hoe meer prostitusie bly pleeg. Sy het manne gesien wat op die muur gegraveer is, afbeeldings van Galdeërs wat rooi* geverf is, **15** met belde om elkeen se middel en groot tulbande op hulle koppe. Hulle almal het gelyk soos vegters en het Babiloniërs afgebeeld, wat in die land van die Galdeërs gebore is. **16** Die oomblik toe sy hulle sien, het sy hulle begin begeer, en sy het boodskappers na hulle in Galde'a gestuur.^h **17** Die seuns van Babilon het bly kom na haar liefdesbed, en hulle het

23:14 *Lett. "met vermiljoen".

HFST. 23

a Eks 32:1, 4
1Kn 12:28, 29
2Kn 10:29

b 2Kn 15:29
1Kr 5:26

c Ho 2:10

d 2Kn 17:6
2Kn 18:11

e Jer 3:6-8
Ese 16:46, 47

f 2Kn 16:7

g 2Kn 17:19

h Ese 16:29

Tweede kol.

a Jer 3:2
Ese 16:36, 37

b Ps 106:39, 40
Jer 6:8
Jer 12:8

c Ese 16:25

d Ese 20:7

e Jos 24:14

f Ese 23:3

g Ese 16:37
Hab 1:6

h Jer 6:22
Jer 12:9

i Ese 21:19

j 2Kn 24:2

k Jer 50:21

haar onrein gemaak met hulle onsedelikheid. Nadat hulle haar onrein gemaak het, het sy van hulle af weggedraai omdat hulle vir haar walgluk was.

18 "Toe sy aangehou het om skaamteloos prostitusie te pleeg en haar kaal uit te trek,^a het ek van haar af weggedraai omdat sy vir my walgluk was, net soos ek van haar suster af weggedraai het omdat sy vir my walgluk was.^b **19** En sy het al hoe meer prostitusie gepleeg^c en teruggedink aan haar jong dae toe sy in Egipte prostitusie gepleeg het.^d **20** Sy het 'n seksuele begeerte vir hulle gehad soos die byvrouens van mans wie se manlike orgaan soos dié van 'n donkie is en wie se geslagsorgaan soos dié van 'n perd is. **21** Jy het gesmag na die afstootlike gedrag van jou jong dae in Egipte^e toe hulle jou borste gestreel het, die borste van jou jong dae.^f

22 "Daarom, Oho'liba, sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Ek bring die mans teen jou met wie jy 'n seksuele verhouding gehad het,^g dié van wie jy weggedraai het omdat hulle vir jou walgluk was, en ek sal hulle van alle kante af teen jou bring,^h **23** die seuns van Babilonⁱ en al die Galdeërs,^j die manne van Pekod^k en Soa en Koa, saam met al die seuns van Assi'rië. Hulle almal is begeerlike jong manne, goewerneys en amptenare, vegters. Hulle almal is uitgesoekte* manne en ry op perde. **24** Hulle sal jou aanval met strydwaens en wiele wat dreun en met 'n groot versameling soldate en met groot skilde en klein skilde* en helms. Hulle sal rondom jou stelling inneem, en ek sal hulle

23:23 *Lett. "opgeroepte". 23:24 *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra.

die gesag gee om te oordeel, en hulle sal jou oordeel soos hulle goeie dink.^a **25** Ek sal uiting gee aan my woede teen jou, en hulle sal in hulle woede teen jou optree. Hulle sal jou neus en jou ore afsny, en dié wat oorbly, sal met die swaard doodgemaak word. Hulle sal jou seuns en jou dogters wegneem, en dié wat oorbly, sal deur vuur vernietig word.^b **26** Hulle sal jou klere uittrek^c en jou pragtige juwele* afvat.^d **27** Ek sal 'n einde maak aan jou afstootlike gedrag en prostitusie,^e wat in Egipte begin het.^f Jy sal ophou om na hulle te kyk, en jy sal nie meer aan Egipte dink nie.^g

28 "Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Ek gaan jou oorlewer aan dié wat jy haat, dié van wie jy weggedraai het omdat hulle vir jou walglik was.^g **29** Hulle sal vol haat teen jou optree en alles wegneem waarvoor jy hard gewerk het^h en jou heeltemal kaal agterlaat. Die skaamtelose kaalheid van jou onsedelikheid en jou afstootlike gedrag en jou prostitusie sal ontbloom word.ⁱ **30** Hierdie dinge sal aan jou gedoen word omdat jy soos 'n prostituut agter die nasies aan gegaan het,^j omdat jy jou met hulle walglike afgode onrein gemaak het.^k **31** Jy het net soos jou suster opgetree,^l en ek sal haar beker in jou hand sit.^m

32 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

'Jy sal die diep en wye beker van jou suster drink,ⁿ en jy sal 'n voorwerp van 'n gelag en bespotting word, want die beker is vol daarvan.^o

33 Jy sal deur dronkenskap en hartseer oorweldig* word,

23:26 *Of "ornamente". **23:33** *Lett. "gevol".

HFST. 23

a Jer 39:5

b Ese 15:7
Ese 20:47

c Jer 13:22
Op 17:16

d Jes 3:18-23
Jer 4:30
Ese 16:39

e Jes 27:9
Ese 16:41
Ese 22:15

f Ese 23:3

g Jer 21:7

h De 28:49, 51

i Ese 16:36, 37
Ese 16:39

j Jer 2:18

k Ps 106:35, 36
Ese 6:9
Ese 23:7

l Jer 3:8
Ese 16:46, 47

m 2Kn 21:13
Jer 25:15
Da 9:12

n Jes 51:17

o De 28:37
1Kn 9:7
Klg 2:15

Tweede kol.

a Ps 75:8

b 1Kn 14:9
Ne 9:26
Jes 17:10
Jer 2:32
Jer 13:25

c Ese 23:4

d Ho 1:2
Jak 4:4

e Le 18:21
2Kn 17:17, 18
Ese 16:36

f Jer 7:31

g Le 20:3

h Jes 57:9

i Jer 4:30

j Jes 57:7

'n beker van skok en verwoesting, die beker van jou suster, Samari'a.

34 Jy sal dit moet drink en leegmaak^a en aan die gebreekte stukke knaag en dan jou borste afskeur. "Want ek het gepraat," sê die Soewereine Heer Jehovah.^b

35 "Daarom is dit wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Omdat jy my vergeet het en my heeltemal verwerp het,^b sal jy die gevolge van jou afstootlike gedrag en jou dade van prostitusie dra."^c

36 Toe het Jehovah vir my gesê: "Mensekind, sal jy Oho'la en Oho'liba^c oordeel en hulle met hulle walglike gebruike konfronteer? **37** Hulle het egbreuk* gepleeg,^d en daar is bloed op hulle hande. Hulle het nie net egbreuk gepleeg met hulle walglike afgode nie, maar hulle het ook hulle seuns aan wie hulle vir my geboorte gegee het, vir hulle afgode as offerandes in die vuur verbrand."^e

38 Hulle het ook nog dit aan my gedoen: Hulle het my heiligdom op daardie dag onrein gemaak en my sabbatte onheilig.

39 Nadat hulle hulle kinders as offerandes vir hulle walglike afgode geslag het,^f het hulle op daardie selfde dag in my heiligdom gekom om dit te onheilig.^g Dit is wat hulle in my huis gedoen het. **40** Hulle het selfs 'n boodskapper gestuur sodat manne van ver af kan kom.^h Terwyl hulle op pad was, het jy jou oë geveer in jou met juwele versier.ⁱ **41** En jy het op 'n pragtige rusbank gaan sit,^j

23:35 *Lett. "my agter jou rug gegooi het". **23:37** *D.w.s. geestelike egbreuk. "Of "deur die vuur laat gaan".

en 'n gedekte tafel het daarvoor gestaan,^a en jy het my reukwerk^b en my olie^c daarop gesit. **42** Die geluid van 'n onbesorgde skare kon daar gehoor word. Party van hulle was dronkaards wat van die wildernis af gebring is. Hulle het armbande aan die hande van die vrouens gesit en pragtige krone op hulle koppe.

43 "Toe het ek die volgende gesê oor die vrou wat uitgeput was as gevolg van haar egbreuk: 'Nou sal sy aanhou om haar prostitusie te pleeg.' **44** En hulle het na haar toe bly gaan, soos 'n mens na 'n prostituut gaan. So het hulle na Oho'la en na Oho'liba toe gegaan, die vrouens met hulle afstootlike gedrag. **45** Maar regverdige manne sal haar oordeel met die gepaste oordeel vir egbreuk^d en bloedskulde,^e want hulle is vrouens wat egbreuk pleeg en het bloed op hulle hande.^f

46 "Want die Soewereine Heer Jehovah sê: "n Leërmag sal teen hulle gebring word om hulle iets skokkends te maak, en iets om te beroof.^g **47** Die leërmag sal hulle met klippe gooï^h en met swarde doodmaak. Hulle sal hulle seuns en dogters doodmaakⁱ en hulle huise afbrand.^j **48** Ek sal 'n einde maak aan die afstootlike gedrag in die land, en al die vrouens sal 'n les leer en nie dieselfde afstootlike dinge doen wat julle gedoen het nie.^k **49** Hulle sal julle die gevolge laat dra van julle afstootlike gedrag en van julle sondes met julle walglike afgode, en julle sal moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is."^l

24 In die negende jaar, in die tiende maand, op die tiende dag van die maand, het Jehovah weer met my gepraat en gesê: **2** "Mensekind, skryf

HFST. 23

a Jes 65:11

b Ese 8:10, 11

c Ese 16:17, 18

d Le 20:10

e Ge 9:6
Ese 16:38f 2Kn 24:3, 4
Ps 106:38
Ese 23:37g Jer 15:4
Jer 25:9
Ese 16:40

h Le 20:2

i 2Kr 36:17

j 2Kn 25:9, 10
Jer 39:8

k 2Pe 2:6

l Ese 6:13

Tweede kol.

HFST. 24

a 2Kn 25:1
Jer 39:1
Jer 52:4

b Ese 11:3

c Ese 11:7

d Jer 39:6

e 2Kn 21:16
Mi 7:2
Mt 23:35

f Ese 11:7, 9

g Jer 2:34

h Le 17:13
De 12:16

i 2Kn 24:3, 4

j Mt 23:37

hierdie datum* op, vandag se datum. Die koning van Babilon het sy aanval teen Jerusalem op hierdie dag begin.^a **3** En vertel 'n illustrasie* oor die opstandige huis, en jy moet van hulle sê:

"Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

"Sit die kookpot op. Sit dit op die vuur, en gooi water daarin.^b

4 Sit stukke vleis daarin,^c al die goeie stukke, die boud en die blad, en maak dit vol met die beste bene.

5 Vat die beste skaap van die kudde,^d en pak die stompe oral onder die pot.

Kook die stukke, en maak die bene daarin gaar."^e

6 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:

'Dit sal sleg gaan met die stad van bloedskulde,^e die geroeste kookpot, die pot met roes wat nie verwyder is nie!

Maak dit stuk vir stuk leeg,^f en moenie die lot oor die stukke werp nie.

7 Want die stad se bloed is in haar.^g Sy het dit op die kaal rotse uitgegooi.

Sy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof te bedek nie.^h

8 Ek wou woede laat opkom sodat wraak geneem kan word,

en daarom het ek haar bloed op die blink, kaal rots uitgestort

sodat dit nie bedek sou word nie.ⁱ

9 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:

'Dit sal sleg gaan met die stad van bloedskulde!^j

24:2 *Lett. "die naam van die dag".

24:3 *Of "spreekwoord".

Ek sal die hout hoog opstapel.

- 10** Pak die stompe opmekaar, en steek die vuur aan.

Kook die vleis goed, gooi die sous uit, en laat die bene swart gebrand word.

- 11** Sit die leë pot op die kole sodat dit warm kan word, sodat die koper rooiwarm kan word.

Die onreinheid daarin sal wegsmelt,^a en die roes daarin sal verdwyn.

- 12** Dit is frustrerend en uitputtend, want die dik laag roes wil nie afkom nie.^b Gooi dit met roes en al in die vuur!

13 “Jy was onrein as gevolg van jou afstootlike gedrag.^c Ek het jou probeer reinig, maar jy wou nie van jou onreinheid gereinig word nie. Jy sal nie rein word totdat my woede teen jou bedaar nie.^d **14** Ek, Jehovah, het gepraat. Dit sal gebeur. Ek sal optree sonder om terug te hou, sonder om hartseer te voel, sonder om spyt te voel.^e Hulle sal jou oordeel volgens jou optrede en jou daade,^f sê die Soewereine Heer Jehovah.”

15 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **16** “Mensekind, met 'n enkele slag sal ek jou geliefde van jou af wegneem.^f Moenie treur* nie, en moenie huil of tranes stort nie. **17** Kreun in stilte, en moenie rituele volg om vir die dooies te treur nie.^g Sit jou tulband op,^h en trek jou sandale aan.ⁱ Moenie jou snor* bedek nie,^j en moenie die brood eet wat ander vir jou gebring het nie.”^{kk}

24:16 *Of “op jou bors slaan”. **24:17** *Of “bo-lip”. [†]Lett. “die brood van mense eet nie”.

HFST. 24

a Jer 21:10
Jer 32:29
Ese 22:15

b Jer 5:3
Jer 6:29

c 2Kr 36:14
Ese 22:9

d Ese 5:12,13
Ese 8:18

e Jer 13:14
Ese 5:11

f Ese 24:18,21

g Jer 16:5

h Le 10:6

i 2Sa 15:30

j Mi 3:7

k Jer 16:7

Tweede kol.

a Ps 74:7
Ps 79:1
Jer 7:14
Klg 1:10
Klg 2:7
Ese 9:7

b 2Kr 36:17
Jer 6:11

c Ese 24:17

d Le 26:39
Ese 33:10

e Jes 8:18
Jes 20:3
Ese 4:3

f De 28:32
Jer 11:22

g Ese 33:21

h Ese 3:26
Ese 33:22

18 En ek het die oggend met die volk gepraat, en my vrou het die aand gesterf. Toe het ek die oggend gedoen net soos ek beveel is. **19** Die volk het vir my gevra: “Gaan jy nie vir ons sê wat jou daade met ons te doen het nie?” **20** Ek het vir hulle gesê: “Jehovah het met my gepraat en gesê: **21** ‘Sê vir die huis van Israel: “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek staan op die punt om my heiligdom te ontheilig,^a die plek waarop julle so trots is, wat vir julle so kosbaar is en waarna julle hart verlang.* Julle eie seuns en dogters wat julle agtergelaat het, sal met die swaard doodgemaak word.^b **22** Dan sal julle moet doen net soos ek gedoen het. Julle sal nie julle snorre bedek nie, en julle sal nie die brood eet wat ander vir julle gebring het nie.^c **23** Julle tulbande sal op julle koppe wees en julle sandale aan julle voete. Julle sal nie treur of huil nie. Julle sal eerder verrot in julle sonde,^d en julle sal na mekaar kyk en kreun. **24** Esegiël het vir julle 'n teken geword.^e Julle sal doen net soos hy gedoen het. Wanneer dit gebeur, sal julle moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is.”^{ff}”

25 “En mensekind, op die dag dat ek my vesting van hulle af wegneem – die pragtige plek wat vir hulle vreugde gee, wat vir hulle so kosbaar is en waarna hulle hart verlang – saam met hulle seuns en hulle dogters,^f **26** sal iemand wat ontsnap het, jou daarvan kom vertel.^g **27** Op daardie dag sal jy jou mond oopmaak en praat met die een wat ontsnap het, en jy sal nie meer stom wees nie.^h Jy sal 'n teken vir hulle word, en

24:21 *Of “julle siel se medelye”.

hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

25 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, draai jou gesig na die Ammoniete^a en profeteer teen hulle.^b **3** Jy moet oor die Ammoniete sê: ‘Hoor die woord van die Soewereine Heer Jehovah. Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Omdat jy ‘Aha!’ teen my heiligdom gesê het toe dit onheilich is, en teen die land van Israel toe dit verwoes is, en teen die huis van Juda toe hulle in ballingskap gegaan het, **4** gee ek jou aan die mense van die Ooste as ’n besitting. Hulle sal kampe* rondom jou opslaen en hulle tente tussen julle oprig. Hulle sal jou vrugte eet en jou melk drink. **5** Ek sal Rabba^c ’n weiveld vir kamele maak en die land van die Ammoniete ’n rusplek vir die kudde, en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.””

6 “Want die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Omdat jy jou hande geklap het^d en jou voete gestamp het en jy die land van Israel bespot en uitgelag het,^e **7** sal ek my hand teen jou uitsteek om jou aan die nasies te gee as iets om te beroof. Ek sal jou onder die volke uitroei en jou uit die lande vernietig.^f Ek sal jou uitroei, en jy sal moet weet dat ek Jehovah is.’

8 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Omdat Moab^g en Seïr^h gesê het: “Kyk! Die huis van Juda is soos al die ander nasies,” **9** ontbloot ek Moab se berghange* by sy grensstede, die prag^h van sy land: Bet-Je’simot, Baäl-Meon en tot by Kirjata’im.ⁱ **10** Ek sal dit saam met die Ammoniete as ’n besit-

25:4 *Of “ommuurde kampe”. 25:9 *Of “flank”. *Of “sieraad”.

HFST. 25

a Ge 19:36, 38

b Jer 49:1

Am 1:13

Sef 2:9

c 2Sa 12:26

Ese 21:20

d Klg 2:15

e Sef 2:8

f Jer 49:2

Am 1:14

g Jes 15:1

Jer 48:1

Am 2:1

h De 2:4

i Nu 32:37, 38

Jos 13:15, 19

Tweede kol.

a Ese 25:4

b Ese 21:28, 32

c Jer 48:1

d 2Kr 28:17

Ps 137:7

Klg 4:22

Am 1:11

Ob 10

e Mal 1:4

f Jer 49:7, 8

g Jes 11:14

Jes 63:1

h Na 1:2

i 2Kr 28:18

Jes 9:11, 12

Jes 14:29

Jer 47:1

Jl 3:4-6

Am 1:6

j Jer 25:17, 20

Sef 2:4

k Sef 2:5

l Jer 47:4

HFST. 26

m Jl 3:4-6

Am 1:9

n Klg 1:1

ting gee aan die mense van die Ooste,^a sodat die Ammoniete nie onder die nasies onthou sal word nie.^b **11** En ek sal die mense in Moab oordeel en straf,^c en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.’

12 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Edom het wraak geneem teen die huis van Juda, en deur dit te doen, het hulle ’n groot skuld op hulle gelaai.^d **13** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: “Ek sal ook my hand teen Edom uitsteek en mens en dier daar uitroei, en ek sal dit ’n verlate plek maak.^e Van Teman af tot by Dedan sal hulle met die swaard doodgemaak word.^f **14** ‘Ek sal wraak neem op Edom deur die hand van my volk Israel.^g Hulle sal my groot woede teen Edom bring sodat hulle my wraak ondervind,^h sê die Soewereine Heer Jehovah.”

15 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Omdat die Filistyne altyd net vyandig was, het hulle kwaadwillig* probeer wraak neem en verwoesting probeer veroorsaak.ⁱ **16** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: “Ek steek my hand teen die Filistyne uit,^j en ek sal die Keretiete uitroei^k en die res van die inwoners van die seekus vernietig.^l **17** Ek sal groot daade van wraak oor hulle bring, en hulle in my groot woede straf, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek my wraak oor hulle bring.””

26 In die 11de jaar, op die eerste dag van die maand, het Jehovah met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, Tirus het teen Jerusalem gesê:^m ‘Aha! Die poort van die volke is gebreek!ⁿ Alles sal na my kant

25:15 *Of “met minagting in die siel”.

toe kom, en ek sal ryk word noudat sy verwoes is.' **3** Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Kyk, ek is teen jou, o Tirus, en ek sal baie nasies teen jou bring, soos die see sy golwe laat opkom. **4** Hulle sal die mure van Tirus vernietig en die torings afbreek,^a en ek sal grond wegskraap en dit 'n blink, kaal rots maak. **5** Die stad sal 'n droogmaakplek vir sleepnet-te in die see word.'^b

"Want ek het gepraat,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'en dit sal deur die nasies beroof word. **6** En die stad se omliggende dorpies* wat in die platteland is, sal met die swaard vernietig word, en mense sal moet weet dat ek Jehovah is.'

7 "Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Ek bring koning Nebukadne'sar* van Babilon uit die noorde teen Tirus.^c Hy is 'n koning van konings,^d met perde,^e strydwaens,^f perderuiters en 'n leërmag met baie soldate.[#] **8** Hy sal jou omliggende dorpies wat in die platteland is met die swaard vernietig, en hy sal 'n beleëringsmuur teen jou bou en 'n beleëringswal teen jou oprig en 'n groot skild teen jou opstel. **9** Hy sal jou mure met sy stormram* slaan en jou torings met sy byle[#] afbreek. **10** Hy sal met soveel perde kom dat hulle jou met stof sal bedek, en die geluid van die perderuiters, die wiele en die strydwaens sal jou mure laat skud wanneer hy deur jou poorte inkom, soos manne wat 'n stad met afgebreekte mure bestorm. **11** Die hoe-we van sy perde sal al jou strate vertrap.^g Hy sal jou volk met die

26:6 *Lett. "dogters". **26:7** *Lett. "Nebukadresar", 'n wisselvorm van die naam. [#]Lett. "volke". **26:9** *Of "aanvalswerktuig". [#]Of "swaarde".

HFST. 26

a Jes 23:11
Am 1:10
Sag 9:4

b Ese 27:32

c Jer 25:9
Ese 29:18

d Da 2:37

e Hab 1:8

f Jer 4:13

g Jes 5:28
Hab 1:8

Tweede kol.

a Ese 27:32, 33
Ese 28:5, 18
Sag 9:3

b Jes 23:16

c Ese 26:4, 5

d Ese 27:28

e Ese 27:35
Ese 32:10

f Ese 27:32

g Am 1:9, 10

h Ese 28:2

i Jes 23:5

swaard doodmaak, en jou sterk pilare sal op die grond neerstort. **12** Hulle sal jou van jou rykdom en jou handelsware beroof^a en jou mure en jou mooi huise afbreek. Dan sal hulle jou klippe en jou houtwerk en jou grond in die water gooi.'

13 "“Ek sal 'n einde maak aan die geluid van jou liedere, en die geluid van jou harpe sal nie meer gehoor word nie.”^b **14** En ek sal jou 'n blink, kaal rots maak, en jy sal 'n droogmaakplek vir sleepnette word.^c Jy sal nooit herbou word nie, want ek, Jehovah, het dit gesê,' sê die Soewereine Heer Jehovah.

15 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir Tirus sê: 'Sal die eilande nie bewe wanneer hulle die geluid van jou ondergang hoor, wanneer die sterwendes* kreun, wanneer daar 'n slagting in jou plaasvind nie?'^d

16 Al die leiers* wat die see sal van hulle trone afklim en hulle mantels[#] en hulle geborduurde klere uittrek, en hulle sal bewe.^Δ Hulle sal op die grond sit en die hele tyd bewe en jou verbaas aankyk.^e **17** En hulle sal 'n treurlied oor jou sing^f en vir jou sê:

"Hoe het jy vergaan,^g jy die stad wat bewoon is deur mense van die see, die beroemde stad!

Jy en jou* inwoners was sterk op die see^h en het al die inwoners van die aarde met vrees gevul.

18 Die eilande sal bewe op die dag wanneer jy val.

Die eilande van die see sal ontsteld wees wanneer jy nie meer bestaan nie."ⁱ

26:15 *Of "dodelik gewondes". **26:16** *Of "hoofmanne". [#]Of "moulose oor-klede". ^ΔLett. "met bewing beklee wees". **26:17** *Lett. "Sy en haar".

19 “Want dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Wanneer ek jou verwoes, soos die stede wat nie bewoon word nie, wanneer ek die onstuimige waters oor jou laat kom en die groot waters jou bedek het,^a 20 dan sal ek jou en dié wat saam met jou in die graf afgaan, na die mense van lank gelede bring. Ek sal jou in die onderste plek laat woon, soos die plekke van lank gelede wat verwoes is, saam met dié wat in die graf afgaan,^b sodat jy nie bewoon sal wees nie. Dan sal ek die land van die lewendes verheerlik.*

21 “Ek sal skielike rampspoed oor jou bring, en jy sal nie meer daar wees nie.^c Hulle sal na jou soek, maar jy sal nooit weer gevind word nie,^d sê die Soewereine Heer Jehovah.”

27 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: 2 “Menskind, sing ’n treurlied oor Tirus,^d 3 en sê vir Tirus:

“Jy wat by die ingange van die see woon, die handelaar vir die volke van baie eilande, dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

“O Tirus, jy het gesê: ‘My skoonheid is volmaak.’^e

4 Jou gebiede is in die hart van die see,^f en jou bouers het jou skoonheid tot volmaaktheid gebring.

5 Hulle het al jou planke van jenerwobome uit Senir gemaak,^f en hulle het ’n sederboom uit die Li’banon-berge geneem om ’n mas vir jou te maak.

6 Hulle het jou roeispans van eikebome uit Basan gemaak,

HFST. 26

a Ese 27:34

b Ese 28:8

c Ese 27:36

HFST. 27

d Ese 26:17

e Jes 23:9
Ese 28:2, 12

f De 3:8, 9
1Kr 5:23

Tweede kol.

a Ge 10:2, 4

b Ge 10:2, 4

c Ge 10:15, 18

d 1Kn 9:27

e Jos 13:2, 5

f Ese 27:27

g Ge 10:6
Jer 46:9

h Ge 10:2, 4
Jon 1:3

i 2Kr 9:21

j Jer 10:9

k Jes 66:19

l Ge 10:2

m Jl 3:6

n Ge 10:2, 3
Ese 38:6

en hulle het jou boeg* van sipreshout gemaak wat ingelê was met ivoor van die eilande van Kittim af.^a

7 Jou seil was van kleurvolle linne uit Egipte gemaak, en jou dekseile was van blou garing en pers wol van die eilande van Eli’sa.^b

8 Die inwoners van Sidon en van Arwad^c was jou roeiers. Jou eie vaardige manne, o Tirus, was jou matrose.^d

9 Die ervare* en vaardige manne van Gebal^e het jou nate waterdig gemaak.^f Al die skepe van die see en hulle seemanne het na jou toe gekom om handel te dryf.

10 Mans uit Persië, Lud en Put^g was in jou leërmag, jou soldate.

Hulle het hulle skilde en helms in jou opgehang, en hulle het jou verheerlik.

11 Die manne van Arwad in jou leërmag het op jou mure wag gehou, en daar was dapper manne in jou torings.

Hulle het rondom jou mure opgehang,

en hulle het jou skoonheid tot volmaaktheid gebring.

12 “‘Tarsis^h het met jou handel gedryf omdat jy so ryk was.ⁱ Hulle het silwer, yster, tin en lood in ruil vir jou goedere gegee.^j 13 Jawan, Tubal^k en Meseg’ het met jou handel gedryf. Hulle het slawe^m en items van koper in ruil vir jou goedere gegee. 14 Die huis van Togar’maⁿ het trekperde en ryperde en muile in ruil vir jou goedere gegee. 15 Die mense van De-

27:6 *D.w.s. die voorste kant van ’n skip. 27:9 *Lett. “ou”.

dan^a het met jou handel gedryf. Op baie eilande het handelaars vir jou gewerk. Hulle het ivoortande^b en ebbehout as skatting* aan jou betaal. **16** Edom het met jou handel gedryf omdat jy so baie goedere gehad het. Hulle het turkoois, pers wol en kleurvolle borduurwerk, goeie materiaal, korale en robyne in ruil vir jou goedere gegee.

17 ““Juda en die land van Israel het met jou handel gedryf. Hulle het die koring van Minnit,^c die beste voedsel, heuning,^d olie en balsem^e in ruil vir jou goedere gegee.^f

18 ““Damaskus^g het met jou handel gedryf omdat jy so baie goedere gehad het en so ryk was. Hulle het die wyn van Helbon en wol van Sahar* as betaling gegee. **19** Wedan en Jawan uit Usal het smeester, kassia* en riet^h in ruil vir jou goedere gegee. **20** Dedan^b het jou van saalkleedjies* vir jou rydiere voorsien. **21** Die Arabiere en al die hoofmanne van Kedarⁱ het vir jou gewerk. Hulle het handel gedryf met lammers en skape en bokke.^j **22** Die handelaars van Skeba en Raäma^k het met jou handel gedryf. Hulle het die beste parfuums, edelstene en goud in ruil vir jou goedere gegee.^l **23** Haran,^m Kanne, Eden,ⁿ die handelaars van Skeba,^o Assur^p en Kilmad het met jou handel gedryf. **24** Hulle het op jou markplein handel gedryf met pragtige kleure, mantels van blou materiaal en kleurvolle borduurwerk en veelkleurige tapyte, alles stewig vasgebind met toue.

27:15 *Sien Woordelys. **27:18** *Of “en rooigryswol”. **27:19** *’n Boom uit dieselfde familie as die kaneelboom. ^h’n Aromatiese riet. **27:20** *Of “klere van geweefde materiaal”.

HFST. 27

a Ge 10:7

b 1Kn 10:22

c Rig 11:12, 33

d Ge 43:11

e Jer 8:22

f 1Kn 5:9
Esr 3:7
Han 12:20

g Jes 7:8

h Ge 25:3

i Ge 25:13

j 2Kr 17:11
Jes 60:7

k Ge 10:7

l 1Kn 10:1, 2
Jes 60:6

m Ge 11:31

n 2Kn 19:12
Am 1:5

o Ge 25:3
Job 6:19

p Ge 10:22

Tweede kol.

a 1Kn 10:22
Jes 23:14

b Ese 27:8, 9

c Ese 27:10, 11

d Ese 26:14

e Jes 23:1
Ese 26:17

f Ese 26:5

g Ese 27:14, 16

h Sag 9:3

25 Die skepe van Tarsis^a was die karavane vir jou goedere,

en daarom was jy vol en swaar belaaⁱ* in die hart van die oop see.

26 Jou roeiers het jou tot in die onstuimige see gebring.

Die oostewind het jou in die hart van die oop see laat skipbreuk ly.

27 Jou rykdom, jou goedere, jou handelsware, jou see-manne en jou matrose, dié wat jou nate waterdig maak, dié wat handel dryf met jou goedere^b en al die soldate,^c

– die hele skare* in jou – sal almal in die hart van die oop see sink op die dag van jou ondergang.^d

28 Wanneer jou matrose uitroep, sal die kuslande bewe.

29 Al die roeiers, die seemanne en die matrose sal van hulle skepe afklim en op die land gaan staan.

30 Hulle sal met harde stemme bitterlik oor jou uitroep^e terwyl hulle stof op hulle koppe gooi en in as rol.

31 Hulle sal hulle koppe kaal skeer en saklinne aantrek. Hulle sal bitterlik* oor jou huil en baie oor jou treur.

32 In hulle getreur sal hulle ’n treurlied oor jou sing: ‘Wie is soos Tirus, wat nou in die see stilgemaak is?’^f

33 Toe jou goedere van die oop see af ingekom het, het jy baie volke bly gemaak.^g Jou oorvloedige rykdom en baie goedere het die konings van die aarde ryker gemaak.^h

27:25 *Of moontlik “glorieryk”. **27:27** *Lett. “gemeente”. **27:31** *Of “in bitterheid van siel”.

- 34** Nou het jy in die oop see skipbreuk gely, in die diep waters,^a en al jou goedere en jou mense het saam met jou gesink.^b
- 35** Almal wat op die eilande woon, sal verbaas na jou staar;^c en hulle konings sal van vrees bewe^d – hulle gesigte sal bekommerd lyk.
- 36** Die handelaars van die nasies sal fluit as gevolg van wat met jou gebeur het. Jou einde sal skielik en verskriklik wees, en jy sal vir altyd ophou bestaan.”””””^e

28 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, sê vir die leier van Tirus: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

“Omdat jou hart hoogmoedig geword het,^f bly jy sê: ‘Ek is ’n god.

Ek sit op die troon van ’n god in die hart van die see.’^g

Maar jy is net ’n mens, nie ’n god nie, al voel jy in jou hart dat jy ’n god is.

- 3** Kyk! Jy is wyser as Daniël.^h Daar is geen geheim wat jy nie ken nie.
- 4** Jy het jouself ryk gemaak deur jou wysheid en insig, en jy vul jou skatkamers met goud en silwer.ⁱ
- 5** Jy het baie ryk geword omdat jy so goed handel gedryf het,^j en jou hart het hoogmoedig geword as gevolg van jou rykdom.”
- 6** “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:

HFST. 27

a Ese 26:19

b Ese 27:27

c Ese 26:15

d Ese 28:17

e Ps 37:10

HFST. 28

f Ese 28:5

g Ese 27:4

h Da 2:48

i Sag 9:3

j Jes 23:1, 3
Ese 27:12

Tweede kol.

a Ese 30:10, 11

b Jes 23:9

c Ese 27:26

d Ese 28:3

e Ese 27:3

f Ese 27:16

“Omdat jy in jou hart voel dat jy ’n god is,

- 7** bring ek uitlanders teen jou, die wreedste manne van die nasies,^a en hulle sal hulle swaarde teen die prag van jou wysheid uittrek en jou glorieryke prag ontheilig.^b
- 8** Hulle sal jou in die graf laat afgaan, en jy sal ’n gewelddadige dood sterf in die hart van die oop see.^c
- 9** Sal jy nog steeds vir die een wat jou doodmaak, sê: ‘Ek is ’n god’? Jy sal ’n blote mens wees in die hand van dié wat jou ontheilig, en nie ’n god nie.”
- 10** ‘Deur die hand van uitlanders sal jy sterf soos dié wat nie besny is nie, want ek het dit gesê, sê die Soewereine Heer Jehovah.”
- 11** En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **12** “Mensekind, sing ’n treurlied oor die koning van Tirus en sê vir hom: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:
- “Jy was die beste voorbeeld van volmaaktheid,^{*} vol wysheid^d en volmaak in skoonheid.^e
- 13** Jy was in Eden, die tuin van God. Jy was versier met elke soort edelsteen – robyn, topaas en jaspis; chrisoliet, oniks en niersteen; saffier, turkoois^f en smarag, en hulle was in goud geset. Hulle is voorberei op die dag toe jy geskep is.

28:12 * Lett. “Jy het ’n patroon verseël”.

- 14** Ek het jou aangestel as die gesalfde gerub wat beskerm.
Jy was op die heilige berg van God,^a en jy het tussen vurige stene geloop.
- 15** Daar kon nie met jou fout-gevind word van die dag af dat jy geskep is nie totdat onregverdigheid in jou gevind is.^b
- 16** Omdat jy so baie handel gedryf het,^c het jy baie gewelddadig geword en begin sondig.^d Ek sal jou dus as onheilig beskou en jou van die berg van God verdryf en jou vernietig^e sodat jy nie meer tussen die stene van vuur sal wees nie, o gerub wat beskerm.
- 17** Jou hart het hoogmoedig geword weens jou skoonheid.^f Jou glorieryke prag het jou wysheid bederf.^g Ek sal jou op die aarde neergooi^h en jou 'n bespotting voor konings maak.
- 18** As gevolg van jou groot skuld en jou oneerlike handel het jy jou heilighdomme ontheilig.
Ek sal 'n vuur in jou laat ontstaan, en dit sal jou verteer.ⁱ
Ek sal jou op die aarde tot as verbrand voor almal wat na jou kyk.
- 19** Almal onder die volke wat jou ken, sal verbaas na jou staar.^j Jou einde sal skielik en verskriklik wees, en jy sal vir altyd ophou bestaan.^{***k}
- 20** En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **21** "Mensekind, draai jou gesig na Si-

HFST. 28

a Jes 14:13

b Jl 3:4

Am 1:9

c 1Kn 10:11

2Kf 9:21

Ese 27:12

d Jl 3:6

e Jes 23:9

Jer 25:17, 22

Jer 47:4

Jl 3:8

f Ese 27:3

g Jes 14:14

h Jes 14:15

i Am 1:9, 10

j Ese 27:35

k Ese 27:36

Tweede kol.

a Jes 23:4

Jer 25:17, 22

Ese 32:30

b Ese 26:6

c Nu 33:55

Jos 23:12, 13

d De 30:3

Jes 11:12

Jer 30:18

Ho 1:11

e Jes 5:16

f Jer 23:8

g Ge 28:13

h Jes 32:18

Jer 23:6

Ho 2:18

i Jes 65:21, 22

Jer 31:5

Am 9:14

j Jer 30:16

HFST. 29

k Jer 25:17, 19

Jer 43:10, 11

Ese 31:2

don,^a en profeteer daarteen.**22** Jy moet sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

"Ek is teen jou, Sidon, en ek sal in jou verheerlik word, en mense sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek die stad oordeel en straf en wanneer ek daar geheilig word.

23 Ek sal vreeslike siektes in die stad stuur, en bloed sal in die strate vloei.

Mense sal in die stad doodgemaak word wanneer die swaard van alle kante af daarteen kom, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.^b

24 "“Dan sal die huis van Israel nie meer omring word deur doringtakke wat steek of doringtakke wat seermaak nie,^c dié wat hulle sonder respek behandel, en mense sal moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is.”

25 "“Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Wanneer ek die huis van Israel weer bymekaarmaak uit die volke waarheen hulle verstrooi is,^d sal ek onder hulle geheilig word in die oë van die nasies.^e En hulle sal in hulle land woon^f wat ek aan my kneg Jakob gegee het.^g

26 Hulle sal in veiligheid daarin woon^h en huise bou en wingerde plant,ⁱ en hulle sal in veiligheid woon wanneer ek almal rondom hulle wat hulle sonder respek behandel, oordeel en straf,^j en hulle sal moet weet dat ek Jehovah hulle God is.””

29 In die tiende jaar, in die tiende maand, op die 12de dag van die maand, het Jehovah weer met my gepraat en gesê: **2** "Mensekind, draai jou gesig teen Faraó, die koning van Egipte, en profeteer teen hom en teen die hele Egipte.^k **3** Sê

hierdie woorde: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

"Ek is teen jou, Farao, koning van Egipte,^a die groot seemonster wat in die strome van sy Nyl* Iê,^b wat gesê het: 'My Nylrivier behoort aan my. Ek het dit vir my gemaak.'^c

- 4** Maar ek sal hake in jou kakebene sit en die visse van jou Nyl aan jou skubbe laat kleef.

En ek sal jou uit jou Nyl optrek, saam met al die visse van die Nyl wat aan jou skubbe kleef.

- 5** Ek sal jou in die wildernis verlaat, jy en al die visse van jou Nyl.

Jy sal op die oop veld val, en jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie.^d

Ek sal jou as voedsel gee vir die wilde diere van die aarde en die voëls van die hemel.^e

- 6** Dan sal al die inwoners van Egipte moet weet dat ek Jehovah is, want hulle het die huis van Israel net so min ondersteun as 'n stukkie strooi.^{*f}

- 7** Toe hulle jou hand gegryp het, het jy geknak, en jy het hulle skouer gesny. Toe hulle op jou geleun het, het jy gebreek, en jy het hulle bene* bewerig gemaak.^{*g}

8 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: "Ek bring 'n swaard oor jou,^h en ek sal mens en dier uit jou uitroei. **9** Egipt-

29:3 *Hier en verder aan verwys "Nyl" na die rivier en sy besproeiingskanale. **29:6** *Lett. "n riet". **29:7** *Lett. "heupe".

HFST. 29

a Jer 46:25
Ese 31:18

b Ese 32:2

c Ese 29:9

d Jer 25:33

e Ese 32:4

f Jes 36:6
Jer 37:5-7
Ese 17:17

g Jer 17:5

h Jer 46:14
Ese 30:4
Ese 32:12

Tweede kol.

a Jer 43:11-13

b Ese 29:3

c Ese 30:12

d Jer 44:1

e Ese 30:6, 7

f Ese 31:12
Ese 32:13

g Jer 46:19

h Ese 30:23

i Jer 46:25, 26

j Ge 10:13, 14
Ese 30:14

k Ese 30:13

l Ese 32:2

m Jes 30:2
Jes 36:4, 6
Jer 2:18
Jer 37:5-7

te sal 'n verlate en verwoeste plek word,^a en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is, want jy* het gesê: 'Die Nylrivier behoort aan my. Ek het dit gemaak.'^b **10** Daarom is ek teen jou en teen jou Nylrivier, en ek sal Egipte verwoes en dit 'n droë plek maak, 'n verlate plek,^c van Migdol^d af tot by Siëne^e en tot by die grens van Etiopië. **11** Nie mens of dier sal daardeur loop nie,^f en 40 jaar lank sal niemand daar woon nie. **12** Ek sal Egipte die mees verlate land maak, en sy stede sal 40 jaar lank die mees verlate stede wees.^g Ek sal die Egiptenare onder die nasies verstrooi en hulle in die lande versprei."^h

13 "Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Ná 40 jaar sal ek die Egiptenare bymekaarmaak uit die volke waar- onder hulle verstrooi is.ⁱ **14** Ek sal die Egiptenare wat gevange geneem is, terugbring na die land Patros,^j na die land waarvandaan hulle kom, en hulle sal 'n onbelangrike koninkryk word. **15** Egipte sal laer as die ander koninkryke word en sal nie meer die ander nasies oorheers nie,^k en ek sal hulle so klein maak dat hulle nie ander nasies kan onderdruk nie.^l **16** Dit sal nooit weer 'n bron van vertroue vir die huis van Israel wees nie,^m maar dit sal hulle net herinner aan die fout wat hulle gemaak het toe hulle die Egiptenare se hulp gevra het. En hulle sal moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is."^o

17 In die 27ste jaar, in die eerste maand, op die eerste dag van die maand, het Jehovah met my gepraat en gesê: **18** "Mensekind, koning Nebu-

29:9 *Lett. "hy".

kadne'sar^{*a} van Babilon het sy leërmag hard laat werk teen Tirus.^b Elke kop het kaal geword en elke skouer is deurgeskaaf. Maar hy en sy leërmag het geen betaling gekry vir hulle harde werk teen Tirus nie.

19 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Kyk, ek gee Egipte aan koning Nebukadne'sar^{*} van Babilon,^c en hy sal die rykdom wegdra en baie besittings daaruit neem, en dit sal die betaling vir sy leërmag wees.'

20 "As vergoeding vir die werk wat hy teen Tirus gedoen het, sal ek hom Egipte gee, want hulle het vir my opgetree,^d sê die Soewereine Heer Jehovah.

21 "Op daardie dag sal ek 'n horing vir die huis van Israel laat uitspruit,^{*e} en ek sal jou 'n geleentheid gee om met hulle te praat, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is."

30 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** "Mensekind, profeteer en sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

"Huil en sê: 'Ag, die dag kom!'

3 Want die dag is naby, ja, 'n dag van Jehovah is naby.^f

Dit sal 'n dag van wolke wees,^g 'n vasgestelde tyd van die nasies.^h

4 'n Swaard sal teen Egipte kom, en Etiopië sal paniekbevange wees wanneer die mense in Egipte doodgemaak word.

Haar rykdom is gevat en haar fundamente is afgebreek.ⁱ

29:18, 19; 30:10 *Lett. "Nebukadre-sar", 'n wisselvorm van die naam. **29:21** *Of "krag gee aan die huis van Israel".

HFST. 29

a Jer 25:9
Jer 27:3, 6

b Ese 26:7

c Jer 43:10, 12

d Ese 30:9, 10

e 1Sa 2:10
Lu 1:69

HFST. 30

f Ob 15

g Ese 32:7

h Ps 110:6

i Ese 32:11, 12

Tweede kol.

a Sef 2:12

b Na 3:8, 9

c Ese 30:18

d Jer 44:1

e Ese 29:10

f Jer 46:19
Ese 29:12
Ese 32:18

g Ese 29:19
Ese 32:11

h Hab 1:6

i Ese 29:5

j Ese 29:3

k Ese 31:12

5 Etiopië,^a Put,^b Lud en al die mense van die ander nasies^{*}

en Kub, saam met die kinders van die land van die verbond,[#]

sal almal met die swaard doodgemaak word."[†]

6 Dit is wat Jehovah sê: 'Die ondersteuners van Egipte sal ook val, en haar trots en sterkte sal afgebring word.'^c

"Van Migdol^d af tot by Siëne^e sal hulle in die land met die swaard doodgemaak word,' sê die Soewereine Heer Jehovah.

7 'Hulle sal die mees verlate van al die lande gemaak word, en haar stede sal die mees verwoeste stede wees.^f **8** En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek Egipte aan die brand steek en wanneer al haar helpers vernietig word. **9** Op daardie dag sal ek boodskappers in skepe stuur om die selfversekerde Etiopië te laat bewe. Hulle sal paniekbevange wees op die dag wat oor Egipte kom, want dit sal beslis kom.'

10 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Ek sal 'n einde maak aan die skares van Egipte deur die hand van koning Nebukadne'sar^{*} van Babilon.^g **11** Hy en sy soldate, die wreedste manne van die nasies,^h sal ingebring word om die land te vernietig. Hulle sal hulle swaarde teen Egipte uittrek en die land vol lyke maak.ⁱ **12** Ek sal die kanale van die Nyl^j droë grond maak en die land aan slegte mense verkoop. Ek sal die land en alles daarin verlate maak deur die hand van uitlanders.^k Ek, Jehovah, het dit gesê.'

30:5 *Of "en die hele gemengde bevolking". [#]Verwys dalk na die Israëliete wat bondgenote van Egipte was.

13 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek sal ook die walglike afgode* vernietig en ’n einde maak aan die waar-delose gode van Nof.^{#a} Daar sal nie meer ’n leier[^] uit Egipte wees nie, en ek sal Egipte met vrees vul.^b **14** Ek sal Patros^c verwoes en Soan aan die brand steek en die mense in No* oor-deel en straf.^d **15** Ek sal met woede teen Sin optree, die ves-ting van Egipte, en die bevolking van No uitroei. **16** Ek sal Egipte aan die brand steek, en Sin sal deur vrees oorval word, en No sal oopgebreek word, en Nof[#] sal helder oordag aange-val word! **17** Die jong manne van On* en Pibe[^] sal met die swaard doodgemaak word, en die inwoners van die stede sal gevange geneem word. **18** In Tehaf[^]nehes sal die dag donker word wanneer ek die jukke van Egipte daar breek.^e Haar trots en krag sal tot ’n einde kom,^f wolke sal haar bedek, en die inwoners van haar dorpe sal gevange geneem word.^g **19** Ek sal Egipte oordeel en straf, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

20 In die 11de jaar, in die eerste maand, op die sewende dag van die maand, het Jehovah vir my gesê: **21** “Mense-kind, ek het die arm van Farao, die koning van Egipte, gebreek. Dit sal nie met ’n verband toege-draai word sodat dit gesond kan word of sterk genoeg kan word om die swaard vas te hou nie.”

22 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: ‘Ek is teen Fa-

30:13 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ’n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui. **30:13, 16** *Of “Memfis”. **30:13** [^]Of “hoofman”. **30:14** *D.w.s. Tebe. **30:17** *D.w.s. Heliopolis.

HFST. 30

a Jer 43:12
Jer 46:14

b Jer 46:5

c Ge 10:13,14
Jer 44:1

d Jer 46:25

e Ese 30:8

f Jer 46:20
Ese 31:18

g Jer 46:19

Tweede kol.

a Jer 46:25
Ese 29:3

b 2Kn 24:7
Jer 46:2

c Jer 46:21

d Ese 29:12

e Jer 27:6

f Ese 32:11, 12

g Ese 29:19, 20

h Ese 29:12

HFST. 31

i Jer 46:2
Ese 29:2

rao, die koning van Egipte,^a en ek sal sy arms breek, die sterk arm en die gebreekte arm,^b en ek sal die swaard uit sy hand laat val.^c **23** Dan sal ek die Egiptenare onder die nasies verstrooi en hulle in die lande versprei.^d **24** Ek sal die arms* van die koning van Babilon versterk^e en my swaard in sy hand sit,^f en ek sal die arms van Farao breek, en hy sal hard kreun soos ’n man wat besig is om voor hom[#] dood te gaan. **25** Ek sal die arms van die koning van Babilon versterk, maar die arms van Farao sal slap hang. Hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek my swaard in die hand van die koning van Babilon sit en hy dit teen Egipte gebruik.^g **26** En ek sal die Egiptenare onder die nasies verstrooi en hulle in die lande versprei,^h en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

31 In die 11de jaar, in die derde maand, op die eerste dag van die maand, het Jehovah weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, sê vir Farao, die koning van Egipte, en die skares saam met hom:!

‘Soos wie is jy in jou grootheid?

3 Daar was ’n Assiriër,
’n sederboom op die
Li’banon-berge,

met pragtige takke en digte
blare wat skaduwee gee,
’n hoë boom.

Die top daarvan was tussen
die wolke.

4 Die waters het dit groot
laat groei, en die diep
waterfontein het dit
hoog laat groei.

Daar was strome al om die
plek waar dit geplant is.

30:24 *Of “krag”. *D.w.s. voor die koning van Babilon.

Die kanale het al die bome van die veld van water voorsien.

- 5 Daarom het dit hoër as al die ander bome van die veld gegroei.

Die takke het meer geword en het lank geword as gevolg van die oorvloedige water in die strome.

- 6 Al die voëls van die hemel het in die takke nes gemaak.

Al die wilde diere van die veld het onder die takke geboorte gegee, en al die groot nasies het in die skaduwee gewoon.

- 7 Dit het pragtig geword en lang takke gekry, want sy wortels het tot in oorvloedige waters gegaan.

- 8 Geen ander sederboom in die tuin van God^a kon daarmee vergelyk word nie.

Geen jenerboom het sulke takke gehad nie, en geen plataanboom het sulke takke gehad nie.

Geen ander boom in die tuin van God was so mooi nie.

- 9 Ek het dit mooi gemaak, met baie blare, en al die ander bome van Eden, die tuin van die ware God, was jaloers daarop.

10 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Omdat hy* hoog geword het en hy sy top tot tussen die wolke opgelig het en sy hart hoogmoedig geword het omdat hy so hoog was, 11 sal ek hom in die hand van die magtige heerser van die nasies gee.^b Hy sal beslis teen hom optree, en ek sal hom ver-

HFST. 31

a Ge 2:8
Ese 28:12, 13

b Ese 30:10, 11
Hab 1:6

Tweede kol.

a Ese 32:5, 6

b Ese 29:5
Ese 32:4

c Ese 31:9

d Ese 32:18, 20

e Ese 30:6
Ese 32:31

werp as gevolg van sy goddeloosheid. 12 En uitlanders, die wreedste manne van die nasies, sal hom afkap, en hulle sal hom op die berge laat lê, en sy blare sal in al die valleie val, en sy takke sal gebreek in al die strome van die land lê.^a Al die volke van die aarde sal uit sy skaduwee weggaan en hom daar laat lê. 13 Al die voëls van die hemel sal woon op sy stam wat omgeval het, en al die wilde diere van die veld op sy takke.^b

14 Dit is sodat nie een van die bome naby die waters so hoog sal word of sy top tot tussen die wolke sal oplig nie, en sodat geen boom wat baie water kry, so hoog sal word nie. Want hulle sal almal aan die dood oorgegeë word, aan die land daar onder, saam met die mensekinners, dié wat in die graf afgaan.'

15 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Op die dag dat hy in die Graf* afgaan, sal ek 'n getreur veroorsaak. Daarom sal ek die diep waters bedek en sy strome terughou sodat daar nie meer oorvloedige waters sal wees nie. Ek sal die Li'banon-berge laat donker word as gevolg daarvan, en al die bome van die veld sal uitdroog. 16 Die geluid van sy ondergang sal nasies laat bewe wanneer ek hom in die Graf* laat afgaan saam met dié wat in die put[#] afgaan, en al die bome van Eden,^c die mooistes en die bes-tes van die Li'banon-berge, almal wat baie water kry, sal in die land daar onder vertroos word. 17 Hulle het saam met hom in die Graf* afgegaan, na dié wat met die swaard doodgemaak is,^d saam met sy ondersteuners[#] wat onder die nasies in sy skaduwee gewoon het.'^e

31:15-17 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.
31:16 #Of "graf". 31:17 #Lett. "arm".

18 “Watter boom van Eden was so indrukwekkend en groot soos jy?^a Maar jy sal beslis saam met die bome van Eden na die land daar onder afgebring word. Jy sal lê tussen dié wat nie besny is nie, saam met dié wat met die swaard doodgemaak is. Dit sal met Farao en al sy skares gebeur, sê die Soewereine Heer Jehovah.”

32 En in die 12de jaar, in die 12de maand, op die eerste dag van die maand, het Jehovah weer met my gepraat en gesê: 2 “Mensekind, sing ’n treurlied oor Farao, die koning van Egipte, en sê vir hom:

‘Jy was soos ’n sterk jong leeu* van die nasies, maar jy is stilgemaak.

Jy was soos ’n seemonster^b wat in jou riviere te kere gaan, wat die waters modderig maak met jou pote en die^c riviere laat vuil word.’

3 Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

‘Ek sal my vangnet oor jou uitsprei deur middel van ’n groot groep nasies, en hulle sal jou in my sleepnet optrek.

4 Ek sal jou op die land laat lê, en ek sal jou op die oop veld neergooi.

Ek sal al die voëls van die hemel op jou laat woon, en ek sal die wilde diere van die hele aarde met jou versadig.^c

5 Ek sal jou vlees op die berge gooi en die valleie vul met die stukke wat van jou oorbly.^d

6 Die bloed wat ek uit jou sal laat uitstroom, sal oral in

HFST. 31

a Ese 31:9
Ese 32:19

HFST. 32

b Jes 51:9, 10
Ese 29:3

c Ese 29:5

d Ese 31:12

Tweede kol.

a Jes 13:1, 10

b Ese 29:12
Ese 30:26

c Jer 43:10, 11
Jer 46:25, 26
Ese 30:24

d Ese 30:10, 11
Hab 1:6

die land wees, tot op die berge, en dit sal die strome vol maak.*

7 ‘Wanneer jy geblus word, sal ek die hemel bedek en die sterre laat donker word.

Ek sal die son met wolke bedek, en die maan sal nie sy lig laat skyn nie.^a

8 Ek sal die ligte wat in die hemel skyn, laat donker word as gevolg van jou, en ek sal jou land met duisternis bedek, sê die Soewereine Heer Jehovah.

9 ‘Ek sal die harte van baie volke ontstel wanneer ek jou gevangenes na ander nasies lei, na lande wat jy nie ken nie.^b

10 Ek sal baie volke met ont-sag vervul, en hulle konings sal van skok bewe as gevolg van jou wanneer ek my swaard heen en weer voor hulle swaai.

Hulle sal bly bewe, en elkeen sal vir sy lewe vrees op die dag van jou ondergang.’

11 Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Die swaard van die koning van Babilon sal oor jou kom.^c

12 Ek sal jou leërmag laat val deur die swaarde van sterk vegters, die wreedste manne van die nasies, hulle almal.^d Hulle sal die trots van Egipte tot ’n val bring, en haar hele leërmag sal vernietig word.^e

32:2 *Of “’n jong maanhaarleeu”.
“Lett. “hulle”.

e Ese 29:19

32:6 *Lett. “en die stroombeddings sal vol word van (met) jou”.

13 Ek sal al haar vee langs haar oorvloedige waters vernietig,^a

en geen voet van 'n mens of hoef van 'n dier sal dit weer modderig maak nie.^b

14 'In daardie tyd sal ek hulle waters helder laat word, en ek sal hulle riviere soos olie laat vloei,' sê die Soewereine Heer Jehovah.

15 'Wanneer ek Egipte 'n verwoeste plek maak, 'n land wat leeggemaak is van alles wat daarin was,^c wanneer ek al die inwoners daarin doodmaak, sal hulle moet weet dat ek Jehovah is.^d

16 Dit is 'n treurlied, en mense sal dit beslis sing.

Die dogters van die nasies sal dit sing.

Hulle sal dit oor Egipte en oor haar hele leërmag sing,' sê die Soewereine Heer Jehovah."

17 Toe, in die 12de jaar, op die 15de dag van die maand, het Jehovah met my gepraat en gesê: **18** "Mensekind, huil oor die leërmag van Egipte en laat haar afgaan na die land daar onder, sy en die dogters van magtige nasies, saam met dié wat in die graf afgaan.

19 "Dink jy dat jy mooier is as ander? Gaan af en lê by dié wat nie besny is nie!

20 "Hulle sal val tussen dié wat met die swaard doodgemaak is.^e Sy is oorgelewer aan 'n swaard. Sleep haar en haar hele leërmag weg.

21 "Uit die dieptes van die Graf* sal die sterkste vegters met hom en sy helpers praat. Hulle sal beslis afgaan en lê net soos dié wat nie besny is nie, wat met die swaard dood-

32:21, 27 *Of "Sjeool". Sien Woordelys.

HFST. 32

a Ese 30:12

b Ese 29:8, 11

c Ps 107:33, 34
Ese 29:12

d Ese 30:26

e Ese 29:8

Tweede kol.

a Jes 37:36
Sag 10:11

b Ge 10:22
Jer 49:34, 35

c Ge 10:2
Ese 38:2

gemaak is. **22** Assi'rië is daar met haar hele leërmag. Hulle grafte is rondom hom, almal wat met die swaard doodgemaak is.^a

23 Haar grafte is in die dieptes van die put,* en haar leërmag is rondom haar graf. Hulle is almal met die swaard doodgemaak omdat hulle vrees veroorsaak het in die land van die lewendes.

24 "Elam^b is daar met haar hele leërmag rondom haar graf, almal wat met die swaard doodgemaak is. Hulle het afgegaan na die land daar onder en was nie besny nie, dié wat die land van die lewendes vol vrees gemaak het. Nou sal hulle hulle skande dra saam met dié wat in die graf afgaan. **25** Hulle het vir haar 'n bed gemaak onder dié wat doodgemaak is, saam met haar hele leërmag wat rondom haar grafte is. Nie een van hulle is besny nie, en hulle is almal met die swaard doodgemaak, want hulle het vrees veroorsaak in die land van die lewendes, en hulle sal hulle skande dra saam met dié wat in die graf afgaan. Hy is neergelê tussen dié wat doodgemaak is.

26 "Meseg en Tubal^c is daar met hulle* hele leërmag. Hulle grafte is rondom hom. Nie een van hulle is besny nie, en hulle is almal met die swaard deurboor, want hulle het vrees veroorsaak in die land van die lewendes. **27** Sal hulle nie by sterk vegters lê wat nie besny is nie, wat doodgemaak is en wat met hulle oorlogswapens na die Graf* afgegaan het nie? En hulle sal hulle swaarde onder hulle koppe sit^d en hulle sondes

32:23 *Of "graf". **32:26** *Lett. "haar". **32:27** *Moontlik 'n verwysing na vegters wat met hulle swaard begrawe word, met militêre eer.

op hulle beendere omdat hierdie sterk manne die land van die lewendes vol vrees gemaak het. **28** Maar jy sal stukkend gebreek word onder dié wat nie besny is nie, en jy sal by dié lê wat met die swaard doodgemaak is.

29 “Edom^a is daar, haar konings en al haar hoofmanne, wat ten spyte van hulle krag neergelê is tussen dié wat met die swaard doodgemaak is. Hulle sal ook by dié lê wat nie besny is nie^b en by dié wat in die graf afgaan.

30 “Al die leiers van die noorde is daar, saam met al die Sidoniërs.^c Hulle het in skande afgestaan saam met dié wat doodgemaak is, ten spyte van die vrees wat hulle deur hulle krag veroorsaak het. Hulle, dié wat nie besny is nie, sal by dié lê wat met die swaard doodgemaak is en sal hulle skande dra saam met dié wat in die graf afgaan.

31 “Farao sal hulle almal sien, en hy sal vertroos wees wanneer hy sien wat met sy leërmag gebeur het.^d Farao en sy hele leërmag sal met die swaard doodgemaak word,^e sê die Soewereine Heer Jehovah.

32 “Omdat hy vrees in die land van die lewendes veroorsaak het, sal Farao en sy hele leërmag neergelê word by dié wat nie besny is nie, by dié wat met die swaard doodgemaak is,^f sê die Soewereine Heer Jehovah.”

33 Jehovah het met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, praat met die kinders van jou volk^e en sê vir hulle:

“Sê nou ek bring ’n swaard oor ’n land^f en al die mense van daardie land neem ’n man en stel hom as hulle wag aan **3** en hy sien dat die swaard oor

HFST. 32

a Ge 25:30
Jes 34:5
Ese 25:12, 13
Am 1:11
Ob 1
Mal 1:4

b Jer 9:25, 26

c Ge 10:15
Ese 28:21

d Ese 31:16

HFST. 33

e Ese 3:11

f Le 26:25
Ese 6:3
Ese 21:9

Tweede kol.

a Jer 4:5
Ho 8:1

b Jer 6:17
Sag 1:4

c Ese 3:19
Han 18:6

d Jes 56:10

e Ese 3:18

f Jes 21:8
Jer 1:17
Ese 3:17

g Jes 3:11
Ese 18:4

h Spr 11:21

i Spr 15:10

j Ese 3:19
Han 18:6

die land kom en hy blaas op die horing en waarsku die volk.^a

4 As iemand die geluid van die horing hoor maar nie op die waarskuwing reageer nie^b en ’n swaard kom en sy lewe neem,^{*} dan sal hy verantwoordelik wees vir sy eie dood.^{†c} **5** Hy het die geluid van die horing gehoor, maar hy het nie op die waarskuwing gereageer nie. Hy sal verantwoordelik wees vir sy eie dood.^{*} As hy op die waarskuwing gereageer het, sou dit sy lewe gered het.

6 “Maar as die wag die swaard sien kom en nie op die horing blaas nie^d en die volk geen waarskuwing kry nie en ’n swaard kom en die lewe van een van hulle neem, dan sal hierdie persoon vir sy eie sonde sterf, maar ek sal die wag verantwoordelik hou vir sy dood.^{†e}

7 “Mensekind, ek het jou as ’n wag vir die huis van Israel aangestel, en wanneer jy ’n woord uit my mond hoor, moet jy hulle namens my waarsku.^f

8 Wanneer ek vir iemand wat goddeloos is, sê: ‘Jou goddelose mens, jy sal beslis sterf!’^g maar jy niks sê om die goddelose te waarsku dat hy sy lewe moet verander nie, dan sal hy as ’n goddelose mens vir sy eie sonde sterf,^h maar ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.^{*}

9 Maar as jy iemand wat goddeloos is, waarsku om weg te draai van sy verkeerde dade en hy weier om sy lewe te verander, dan sal hy vir sy sonde sterf,ⁱ maar jy sal beslis jou lewe red.^j

33:4 *Lett. “hom wegneem”. [†]Lett. “sy bloed op sy eie kop wees”. **33:5** *Lett. “Sy bloed sal op hom wees”. **33:6** *Lett. “sy bloed van die wag terugeis”. **33:8** *Lett. “sy bloed van jou terugeis”.

10 “Mensekind, sê vir die huis van Israel: ‘Julle het gesê: “Ons opstandige daade en ons sondes lê swaar op ons en laat ons wegteer^a - hoe sal ons bly lewe?”^b **11** Sê vir hulle: “So waar as wat ek lewe,” sê die Soewereine Heer Jehovah, “dit is nie die dood van die goddeloses wat my vreugde gee nie.^c Dit is eerder wanneer iemand wat goddeloos is, van sy verkeerde daade^d wegdraai en bly lewe.^e Draai weg, draai weg van julle slegte daade,^f want waarom moet julle sterf, huis van Israel?”^g

12 “Mensekind, sê vir die kinders van jou volk: ‘Die regverdigheid van die regverdige sal hom nie red as hy in opstand kom nie,^h en die goddeloosheid van die goddelose sal ook nie vir hom ’n struikelblok wees wanneer hy van sy goddeloosheid wegdraai nie.ⁱ En niemand wat regverdig is, sal kan bly lewe as gevolg van sy regverdigheid in die dag dat hy sondig nie.^j **13** Wanneer ek vir iemand wat regverdig is, sê: “Jy sal beslis bly lewe,” en hy op sy regverdigheid vertrou en doen wat verkeerd^k is,^k sal nie een van sy regverdige daade onthou word nie, maar hy sal sterf vir die verkeerde daade wat hy geendoen het.^l

14 “En wanneer ek vir die goddelose sê: “Jy sal beslis sterf,” en hy van sy sonde wegdraai en doen wat reg en regverdig is,^m **15** en hy teruggee wat iemand as waarborg vir sy skuld gegee hetⁿ en terugbetaal wat geroof is^o en gehoorsaam is aan die wetsbepalings van die lewe deur nie te doen wat verkeerd is nie, sal hy beslis bly lewe.^p Hy sal nie sterf nie. **16** Nie een van die sondes wat hy gepleeg het, sal teen hom ge-

HFST. 33

a Le 26:39
Jes 64:6
Ese 24:23

b Ese 37:11

c Ese 18:23
ITI 2:3, 4d Jes 31:6
Lu 15:10

e Ps 130:7, 8

f Jes 55:7
Jer 3:22
Jer 25:5
Han 3:19g Ese 18:31
2Pe 3:9h Ese 3:20
Ese 18:24i 1Kn 8:48, 50
Ese 18:21

j Ese 18:26

k 2Pe 2:20

l Ese 18:4

m Jes 55:7
Ese 18:21
Mi 6:8

n Eks 22:26

o Le 6:2, 4
Ese 22:29p Le 18:5
Ese 18:27

Tweede kol.

a Jes 1:18

b Ese 20:11

c Heb 10:38
2Pe 2:20

d Ese 18:27

e Ese 18:25, 29

f Ese 24:25-27

g 2Kn 25:4
2Kr 36:17
Jer 39:2

h Ese 3:26

i Jer 39:10
Ese 36:4

j Ge 12:7

k Ge 9:4
Le 17:12

hou* word nie.^a Hy sal beslis bly lewe omdat hy gedoen het wat reg en regverdig is.^b

17 “Maar jou volk het gesê: ‘Jehovah tree nie regverdig op nie,’ maar dit is eintlik hulle wat nie regverdig optree nie.

18 “Wanneer iemand wat regverdig is, ophou doen wat regverdig is en doen wat verkeerd is, moet hy daarvoor sterf.^c **19** Maar wanneer iemand wat goddeloos is, ophou doen wat sleg is en doen wat reg en regverdig is, sal hy as gevolg daarvan bly lewe.^d

20 “Maar julle het gesê: ‘Jehovah tree nie regverdig op nie.’^e Ek sal elkeen van julle volgens sy daade oordeel, huis van Israel.”

21 Uiteindelik, in die 12de jaar vandat ons in ballingskap gegaan het, in die tiende maand, op die vyfde dag van die maand, het ’n man wat uit Jerusalem ontsnap het, na my toe gekom^f en gesê: “Die stad het geval!”^g

22 Die aand voordat die man wat ontsnap het, na my toe gekom het, het die hand van Jehovah op my gekom, en hy het my mond geopen voordat die man in die oggend na my toe gekom het. My mond is dus geopen, en ek was nie meer stom nie.^h

23 Toe het Jehovah met my gepraat en gesê: **24** “Mensekind, die bewoners van hierdie verwoeste plekkeⁱ sê van die land van Israel: ‘Abraham was net een man, en tog het hy die land in besit geneem.^j Maar ons is baie, en daarom is die land sekerlik as ’n besitting aan ons geee.’

25 “Daarom moet jy vir hulle sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Julle eet die kos met die bloed,^k en

julle kyk op na julle walglike afgode,* en julle bly ander doodmaak.^a Hoekom moet julle dan die land besit? **26** Julle het op julle swaard staatgemaak.^b Julle maak julle skuldig aan afskuwelike gebruike, en elkeen van julle het die vrou van sy naaste onrein gemaak.^c Hoekom moet julle dan die land besit?”^d

27 “Dit is wat jy vir hulle moet sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “So waar as wat ek lewe, dié wat in die verwoeste plekke woon, sal met die swaard doodgemaak word, en ek sal dié wat in die oop veld is, as kos aan die wilde diere gee, en dié wat in die vestings en in die grotte is, sal as gevolg van siekte sterf.”^e

28 Ek sal die land ’n plek maak wat heeltemal verwoes is,^f en sy hoogmoed en trots sal tot ’n einde gebring word, en die berge van Israel sal verwoes word,^g en niemand sal daar deurgaans nie. **29** En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek die land ’n plek maak wat heeltemal verwoes is^h as gevolg van al die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het.”ⁱ

30 “Mensekind, jou volk praat met mekaar oor jou langs die mure en in die ingange van die huise.^j Hulle sê vir mekaar, elkeen vir sy broer: ‘Kom en laat ons hoor wat Jehovah sê.’ **31** Hulle sal instroom om voor jou te sit as my volk, en hulle sal hoor wat jy sê, maar hulle sal dit nie doen nie.^k Want hulle vlei jou met hulle monde, maar hulle harte jaag oneerlike wins na. **32** Kyk! Jy is vir hulle soos ’n romantiese liefdeslied, wat deur iemand met ’n prag-

33:25 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ’n woord vir “ontlasting” en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 33

a Ese 22:6

b Sef 3:3

c Jer 5:8

d De 4:26

Jos 23:15

e Jer 42:22

Ese 5:12

f 2Kr 36:20, 21

Jes 6:11

Jer 44:2

g Ese 6:3

h Jer 9:11

Jer 25:11

i 2Kn 17:9

2Kr 36:14

j Jer 18:18

k Jes 29:13

Jer 44:16, 17

Tweede kol.

a Ese 2:5

HFST. 34

b Jer 23:1

Mi 3:1, 11

Sef 3:3

Sag 11:17

Mt 23:13

c Jes 40:11

Joh 21:15

d 2Kn 21:16

Jer 22:17

Mi 3:3

Sag 11:4, 5

e Jes 56:11

f Lu 15:4

g Jer 22:13

h Jer 23:2

Jer 50:6

Mt 9:36

tige stem gesing word en wat mooi op ’n snaarinstrument gespeel word. Hulle sal jou woord hoor, maar niemand sal doen wat jy sê nie. **33** En wanneer dit waar word – en dit sal waar word – dan sal hulle moet weet dat daar ’n profeet by hulle was.”^a

34 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, profeteer teen die herders van Israel. Profeteer, en sê vir die herders: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Dit sal sleg gaan met die herders van Israel,^b wat net vir hulleself sorg!* Behoort die herders nie vir die kudde te sorg nie?^c **3** Julle eet die vet en maak vir julle klere met die wol. Julle slag die vetste dier,^d maar julle sorg nie vir die kudde nie.^e **4** Julle het nie die swakkes versterk of die siekes gesond gemaak nie. Julle het nie die een verbind wat beseer is of die een teruggebring wat weggedwaal het of na die een gesoek wat verlore is nie.^f Julle het hulle eerder hard en wreed behandel.^g **5** Hulle is dus verstrooi omdat daar geen herder was nie.^h Hulle is verstrooi en het kos geword vir al die wilde diere van die veld. **6** My skape het op al die berge en op elke hoë heuwel rondgedwaal. My skape is oor die hele oppervlak van die aarde verstrooi, en niemand het na hulle gesoek of hulle probeer vind nie.

7 ““Daarom, herders, hoor die woord van Jehovah: **8** “So waar as wat ek lewe,” sê die Soewereine Heer Jehovah, “my skape het prooi geword en kos vir al die wilde diere van die veld, want daar was geen herder nie, en my herders het nie na my

34:2 *Of “net hulleself voed”.

skape gesoek nie. Hulle het eerder net vir hulleself gesorg en nie vir my skape nie.” **9** Daarom, herders, hoor die woord van Jehovah. **10** Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek is teen die herders, en ek sal hulle verantwoordelik hou vir my skape,* en ek sal hulle nie meer toelaat om vir my skape te sorg nie,^a en die herders sal nie meer net vir hulleself sorg nie. Ek sal my skape uit hulle mond red, en hulle sal nie meer vir hulle kos wees nie.”

11 “Want dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Hier is ek, en ek sal self na my skape soek, en ek sal vir hulle sorg.^b **12** Ek sal vir my skape sorg soos ’n herder wat sy verdwaalde skape gevind het en vir hulle sorg.^c Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle op die dag van digte, donker wolke verstrooi is.^d **13** Ek sal hulle uit die volke uitlei en hulle uit die lande bymekaarmaak en hulle in hulle land inbring en vir hulle sorg op die berge van Israel,^e by die strome en by al die woonplekke van die land. **14** Op ’n goeie weiveld sal ek vir hulle sorg, en hulle sal op Israel se hoë berge wei.^f Hulle sal daar in ’n goeie weiplek gaan lê,^g en hulle sal op die beste weivelde op die berge van Israel wei.”

15 ““Ek sal my skape laat wei,^h en ek sal hulle laat lê en rus,”ⁱ sê die Soewereine Heer Jehovah. **16** “Die een wat verlore is, sal ek soek^j en die een wat weggedwaal het, sal ek terugbring en die een wat beseer is, sal ek verbind en die sieke sal ek versterk, maar die vette en die sterke sal ek vernietig. My oordele sal sy voedsel wees.”

34:10 *Of “ek sal my skape van hulle hand terugeis”.

HFST. 34

a Jer 52:24-27

b 1Sa 17:34, 35

Ps 80:1

Jes 56:8

c Jer 40:11

d Jl 2:1, 2

Sef 1:14, 15

e Jer 23:3

Ese 11:17

Am 9:14

Mi 7:14

f Jer 25:6

Jes 30:23

Jer 31:12

g Jer 33:12

h Jer 3:15

i Jer 3:13

j Mi 4:6

Mt 15:24

Lu 15:4

Tweede kol.

a Sag 10:3

b Jer 40:11

Jer 23:3

c Joh 10:11

Heb 13:20

1Pe 5:4

Op 7:17

d Jer 11:1

Jer 30:9

e Ese 37:24

Ho 3:5

f Eks 29:45

Jer 31:1

g Ps 2:6

Jes 9:6

Jer 23:5

Mi 5:2

Lu 1:32

Han 5:31

h Ese 37:26

i Le 26:6

Jes 11:6-9

Jes 35:9

Jes 65:25

Ho 2:18

j Jer 23:6

Jer 33:16

k Jer 56:7

Ese 20:40

Mi 4:1

l Ge 12:2, 3

De 28:12

Sag 8:13

17 “My skape, dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir julle sê: “Ek gaan oordeel tussen een skaap en ’n ander skaap, tussen die skaapramme en die bokramme.^a **18** Is dit nie genoeg dat julle op die allerbeste weivelde wei nie? Moet julle ook nog die res van julle weivelde met julle pote vertrap? En nadat julle die helderste water gedrink het, moet julle die water met die gestamp van julle pote laat vuil word? **19** Moet my skape nou op die weiveld wei wat julle met julle pote vertrap het en die water drink wat julle met die gestamp van julle pote laat vuil word het?”

20 “Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah vir hulle: “Hier is ek, en ek sal beslis tussen ’n vet skaap en ’n maer skaap oordeel, **21** omdat julle al die siekes bly wegdruk het met julle sy en met julle skouer en hulle bly stoot het met julle horings totdat julle hulle oral verstrooi het. **22** En ek sal my skape red, en hulle sal nie meer prooi word nie,^b en ek sal tussen ’n skaap en ’n skaap oordeel. **23** Ek sal een herder oor hulle aanstel,^c my kneg Dawid,^d en hy sal vir hulle sorg. Hy sal vir hulle sorg en hulle herder word.^e **24** En ek, Jehovah, sal hulle God word,^f en my kneg Dawid ’n hoofman onder hulle.^g Ek, Jehovah, het gepraat.

25 ““En ek sal ’n vredesverbond met hulle maak,^h en ek sal die gevaarlike wilde diere uit die land laat verdwyn,ⁱ sodat hulle veilig in die wildernis kan woon en in die woude kan slaap.^j **26** Ek sal hulle en die omgewing om my heuwel ’n seën maak,^k en ek sal die reën op die regte tyd laat val. Daar sal soveel seëninge soos die reën wees.^l **27** Die bome

van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrengs gee,^a en hulle sal veilig in die land woon. En hulle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek hulle jukke breek^b en hulle red van dié wat hulle slawe gemaak het. **28** Hulle sal nie meer vir die nasies prooi word nie, en die wilde diere van die aarde sal hulle nie verslind nie, en hulle sal in veiligheid woon, en daar sal niemand wees wat hulle bang maak nie.^c

29 ““Ek sal vir hulle ’n plantasie gee wat beroemd sal wees, en hulle sal nie meer deur hongersnood in die land sterf nie,^d en hulle sal nie meer deur die nasies verneder word nie.^e **30** ‘Dan sal hulle moet weet dat ek, Jehovah hulle God, met hulle is en dat hulle, die huis van Israel, my volk is,’^f sê die Soewereine Heer Jehovah.”

31 ““En julle, my skape,^g die skape vir wie ek sorg, julle is maar net mense, en ek is julle God,’ sê die Soewereine Heer Jehovah.”

35 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, draai jou gesig na die bergstreek Seïr^h en profeteer teen hom.ⁱ **3** Sê vir hom: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek is teen jou, bergstreek Seïr, en ek sal my hand teen jou uitsteek en jou ’n verlate plek maak.^j **4** Ek sal jou stede verwoeste plekke maak, en jy sal ’n verlate plek word,^k en jy sal moet weet dat ek Jehovah is. **5** Jy was altyd net vyandig,^l en jy het die Israëliete aan die swaard oorgelewer in die tyd van hulle rampspoed, in die tyd van hulle laaste straf.”^m

6 “Daarom, so waar as wat ek lewe,ⁿ sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘ek sal jou vir bloed-

HFST. 34

a Le 26:4
Ps 85:12
Jes 35:2
Ese 36:30

b Le 26:13

c Jer 30:10
Jer 46:27

d Ese 36:29

e Ese 36:15

f Ese 37:27

g Ps 78:52
Ps 100:3
Jes 40:11

HFST. 35

h Ge 32:3
De 2:5

i Jer 49:8
Klg 4:22
Ese 25:8, 9
Ob 1

j Ese 25:12, 13

k Jl 3:19
Mal 1:3

l Ge 27:41
Am 1:11

m Ps 137:7
Ob 10

Tweede kol.

a Ob 15

b Ese 25:14

c Ese 25:13

d Jer 49:17, 18
Ese 25:13
Mal 1:4

e Ese 36:5
Ob 13

f Am 1:11

g Ob 3

h Klg 4:21
Ob 12, 15

i Jes 34:5
Ese 25:12, 13
Ese 36:5

skuld gereedmaak, en die dood* sal jou agtervolg.^a Omdat jy bloed gehaat het, sal die dood jou agtervolg.^b **7** Ek sal die bergstreek Seïr ’n verlate plek maak,^c en ek sal engeen uit hom uitroei wat daardeur gaan en engeen wat terugkeer. **8** Ek sal jou berge vul met dié wat doodgemaak is, en die wat met die swaard doodgemaak is, sal op jou heuwels, in jou valleie en in al jou strome val. **9** Ek sal jou ’n plek maak wat vir ewig verlate is, en jou stede sal nie bewoon word nie,^d en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.’

10 “Jy het gesê: ‘Hierdie twee nasies en hierdie twee lande sal myne word, en ons sal albei in besit neem,’^e al was Jehovah daar. **11** ‘Daarom, so waar as wat ek lewe,’ sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘ek sal ook teen jou optree volgens dieselfde woede en jaloesie wat jy getoon het in jou haat teenoor hulle,^f en ek sal my onder hulle bekend maak wanneer ek jou oordeel. **12** Jy sal dan moet weet dat ek, Jehovah, al die bedledigende dinge gehoor het wat jy van die berge van Israel gesê het toe jy gesê het: “Hulle is verwoes en aan ons gegee om te verslind.”^g **13** En julle het met trots teen my gepraat en baie woorde teen my gesê.^g Ek het dit alles gehoor.’

14 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Die hele aarde sal bly wees wanneer ek jou ’n verlate plek maak. **15** Net soos jy bly was toe die erfdeel van die huis van Israel verwoes is, so sal ek met jou maak.^h Jy sal ’n verlate plek word, o bergstreek Seïr, ja, die hele Edom,ⁱ en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.’”

35:6 *Of “bloedskuld”. **35:12** *Lett. “as voedsel”.

36 “En jy, mensekind, profeteer oor die berge van Israel en sê: ‘Berge van Israel, hoor die woord van Jehovah. 2 Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Die vyand het teen julle gesê: ‘Aha! Selfs die offerhoogtes van die ou tyd het ons besitting geword!’”^a

3 “Profeteer dus en sê: ‘Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Hulle het julle verwoes en van alle kante af aangeval, en julle het ’n besitting van die oorlewendes* van die nasies geword, en mense het heeltyd oor julle gepraat en lasterlike dinge teen julle gesê.’^b

4 Daarom, berge van Israel, hoor die woord van die Soewereine Heer Jehovah! Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê vir die berge en die heuwels, vir die strome en die valleie, vir die plekke wat verwoes is^c en vir die verlate stede wat deur die oorlewendes van die omliggende nasies beroof en bespot is.^d **5** Die Soewereine Heer Jehovah sê vir hulle: ‘Ek sal in my brandende ywer^e praat teen die oorlewendes van die nasies en teen die hele Edom, dié wat my land met groot blydskap en gespot^f in besit geneem het om dit te beroof en die weivelde oor te neem.’”^g

6 “Profeteer dus oor die land van Israel, en sê vir die berge en die heuwels, die strome en die valleie: ‘Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal in my ywer en in my woede praat omdat julle deur die nasies verneder is.””^h

7 “Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek lig my hand op in ’n eed dat die nasies wat rondom julle is, self verneder sal word.’ⁱ **8** Maar

36:3 *Lett. “oorblyfsel; oorblywendes”.

HFST. 36

a Jer 49:1
Ese 35:10

b De 28:37
1Kn 9:7
Klg 2:15
Da 9:16

c Jer 25:9

d Ps 79:4
Ese 34:28

e Sef 3:8

f Ob 12

g Ese 25:12, 13
Ese 35:10, 11
Am 1:11

h Ps 74:10
Ps 123:4

i Jer 25:9
Jer 49:17

Tweede kol.

a Jes 44:23
Jes 51:3
Ese 36:30

b Sag 8:4

c Jes 51:3
Jer 30:18, 19
Am 9:14

d Jer 31:27

e Jes 54:7
Jer 30:18

f Hag 2:9

g Ho 2:20
Jl 3:17

h Jer 32:44
Ob 17

i Jes 65:23

j Jes 54:4
Jes 60:14
Mi 7:8
Sef 2:8
Sef 3:19

k Ps 106:38
Jes 24:5
Jer 2:7
Jer 16:18

l Le 12:2
Jes 64:6

m Jes 42:24, 25

julle, berge van Israel, sal takke voortbring en julle vrugte vir my volk Israel dra,^a want hulle sal binnekort terugkeer.

9 Want ek is met julle, en ek sal na julle kyk, en julle sal bewerk word en met saad besaai word.

10 Ek sal julle vermeerder – die hele huis van Israel, julle almal – en die stede sal bewoon word,^b en die verwoeste plekke sal herbou word.^c **11** Ja, ek sal julle en julle diere vermeerder,^d en hulle sal meer word en vrugbaar word. Ek sal sorg dat julle bewoon word soos voorheen^e en dat dit met julle beter gaan as in die verlede,^f en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.^g **12** Ek sal sorg dat mense – my volk Israel – op julle loop, en hulle sal julle in besit neem.^h Julle sal hulle erfdeel word, en julle sal hulle nooit weer kinderloos maak nie.”ⁱ

13 “Dít is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Hulle sê vir julle: “Julle is ’n land wat mense verslind en wat julle nasies van kinders beroof.”’ **14** ‘Daarom sal julle nie meer mense verslind of julle nasies kinderloos maak nie,’ sê die Soewereine Heer Jehovah. **15** ‘Ek sal nie meer toelaat dat die nasies jou beledig of dat jy die gespot van volke moet verdra nie,’ en jy sal nie meer ’n struikelblok vir jou nasies wees nie,’ sê die Soewereine Heer Jehovah.”

16 En Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **17** “Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land gewoon het, het hulle dit onrein gemaak deur hulle gedrag en hulle dade.^k Hulle gedrag was so onrein vir my soos ’n vrou wat menstrueer.^l **18** Ek het dus met woede teen hulle opgetree weens die bloed wat hulle in die land uitgestort het^m en omdat hulle

die land met hulle walglike afgode* onrein gemaak het.^a **19** Ek het hulle dus onder die nasies verstrooi en hulle onder die lande versprei.^b Ek het hulle geoordeel volgens hulle gedrag en hulle dade. **20** Maar toe hulle by daardie nasies gekom het, het mense my heilige naam^c ontheilig deur van hulle te sê: 'Dit is die volk van Jehovah, maar hulle moes sy land verlaat.' **21** Ek sal dus wys dat ek besorg is oor my heilige naam, wat deur die huis van Israel ontheilig is onder die nasies waarheen hulle gegaan het."^d

22 "Sê dus vir die huis van Israel: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Ek doen dit nie ter wille van julle nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige naam, wat julle ontheilig het onder die nasies waarheen julle gegaan het."^e

23 'Ek sal beslis my groot naam heilig,^f wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het, en die nasies sal moet weet dat ek Jehovah is,^g sê die Soewereine Heer Jehovah, 'wanneer ek voor hulle oë onder julle geheilig word. **24** Ek sal julle uit die nasies neem en julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land neem.^h **25** Ek sal rein water op julle sprinkel, en julle sal rein word.ⁱ Ek sal julle reinig van al julle onreinheide^j en van al julle walglike afgode.^k **26** Ek sal julle 'n nuwe hart gee^l en 'n nuwe gees in julle sit.^m Ek sal die hart van klipⁿ uit julle liggaam verwyder en julle 'n hart van vlees* gee.

36:18 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui. **36:26** *D.w.s. 'n hart wat gevoelig is vir God se leiding.

HFST. 36

a Ese 23:37

b Le 26:38
Ese 22:15c Jes 52:5
Ro 2:24d Ps 74:18
Jes 48:9
Ese 20:9

e Ps 106:7, 8

f Jes 5:16
Ese 20:41

g Ps 102:13-15

h De 30:3
Jes 43:5
Jer 23:3
Ese 34:13
Ho 1:11i Nu 19:13
Ps 51:7j Jes 4:4
Jer 33:8

k Ese 6:4

l Jer 32:39

m Ps 51:10
Ese 11:19, 20

n Sag 7:12

Tweede kol.

a Jer 31:33

b Jer 30:22
Ese 37:25, 27

c Ese 34:29

d Ese 34:27

e Esr 9:6
Ne 9:26
Jer 31:18
Ese 6:9f De 9:5
Da 9:19

g Sag 8:8

h Jes 58:12
Jer 33:10, 11
Am 9:14

i Ge 2:8

j Jes 51:3

k Ese 28:26
Ese 37:14

27 Ek sal my gees in julle sit en sorg dat julle my wetsvoorskrifte volg en my regterlike bevels gehoorsaam.^a **28** Dan sal julle in die land woon wat ek aan julle voorvaders gegee het, en julle sal my volk wees, en ek sal julle God wees.^b

29 "Ek sal julle van al julle onreinheid red en die graan beveil om oorvloedig te word, en ek sal nie hongersnood oor julle bring nie.^c **30** Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die veld oorvloedig maak sodat julle nooit weer die skande van hongersnood onder die nasies hoef te verduur nie.^d **31** Dan sal julle dink aan julle slegte gedrag en julle dade wat nie goed was nie, en julle sal skaam kry as gevolg van julle skuld en julle afskuwelike gebruike.^e **32** Maar weet dit: Ek doen dit nie ter wille van julle nie,^f sê die Soewereine Heer Jehovah. 'Julle moet julle eerder skaam en verneder voel as gevolg van julle gedrag, huis van Israel.'

33 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Op die dag dat ek julle van al julle sondes reinig, sal ek die stede bewoon laat word^g en die verwoeste plekke herbou laat word.^h

34 Die verwoeste land wat verlate was en gesien kon word deur almal wat verbygegaan het, sal bewerk word. **35** En mense sal sê: "Die verwoeste land het soos die tuin van Edenⁱ geword, en die stede wat verwoes was en wat verlate en afgebreek was, is nou versterk en word bewoon."^j **36** En die nasies wat rondom julle oorbly, sal moet weet dat ek, Jehovah, opgebou het wat afgebreek was, en dat ek bome geplant het in die land wat verwoes was. Ek, Jehovah, het gpraat, en ek het dit gedoen.^k

37 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Ek sal ook toelaat dat die huis van Israel my vra om hulle soos ’n kudde te vermeerder. **38** Soos die kudde heilige mense, soos die kudde van Jerusalem* gedurende die feeste,^a so sal die stede wat verwoes was, vol word van kuddes mense,^b en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.”

37 Die hand van Jehovah was op my, en Jehovah het my deur sy gees geneem en my in die middel van die valleivlakte neergesit,^c en dit was vol beendere. **2** Hy het my oral tussen hulle laat rondloop, en ek het ’n groot aantal beendere op die valleivlakte sien lê, en hulle was baie droog.^d **3** Hy het vir my gevra: “Mensekind, kan hierdie beendere lewend word?” Ek het geantwoord: “Soewereine Heer Jehovah, u is die een wat weet.”^e **4** Toe het hy vir my gesê: “Profeteer oor hierdie beendere, en sê vir hulle: ‘Droë beendere, hoor die woord van Jehovah:

5 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vir hierdie beendere sê: “Ek sal asem in julle laat ingaan, en julle sal lewend word.^f **6** Ek sal senings en vlees aan julle sit, en ek sal julle met vel bedek en asem in julle sit, en julle sal lewend word, en julle sal moet weet dat ek Jehovah is.””

7 Toe het ek geprofeteer net soos ek beveel is. Net nadat ek geprofeteer het, was daar ’n geluid, ’n geratel, en die beendere het begin bymekaarkom, been na been. **8** Ek het toe gesien dat senings en vlees op hulle kom, en vel het hulle bedek. Maar daar was nog nie asem in hulle nie.

36:38 *Of moontlik “Soos die kuddes offerskape in Jerusalem”.

HFST. 36

a Eks 23:17

b Jer 30:18, 19

HFST. 37

c Op 21:10

d Ese 37:11

e De 32:39
1Sa 2:6

f Ge 2:7
Ese 37:14

Tweede kol.

a Op 11:11

b Ese 36:10

c Jes 49:14

d Jes 66:14

e Ese 11:17
Am 9:14

f Ps 126:2

g Jes 32:14, 15
Ese 36:27

h 2Kr 15:9
2Kr 30:11

i 1Kn 11:31
1Kn 12:20

9 Toe het hy vir my gesê: “Profeteer vir die wind. Profeteer, mensekind, en sê vir die wind: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Kom uit die vier windrigtings, o wind,* en waai op hierdie mense wat doodgemaak is, sodat hulle lewend kan word.””

10 Ek het dus geprofeteer net soos hy my beveel het, en asem* het in hulle ingegaan, en hulle het lewend geword en op hulle voete gaan staan,^a ’n baie, baie groot leërmag.

11 En hy het vir my gesê: “Mensekind, hierdie beendere is die hele huis van Israel.^b Hulle sê: ‘Ons het almal uitgedroogde beendere geword, en ons hoop het verdwyn. **12** Profeteer dus en sê vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “My volk, ek sal julle grafte oopmaak^d en julle uit julle grafte laat kom en julle na die land van Israel bring.^e **13** En julle sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek julle grafte oopmaak en wanneer ek julle uit julle grafte laat kom, o my volk.””^f **14** ‘Ek sal my gees in julle plaas, en julle sal lewend word,^g en ek sal julle in julle land vestig. En julle sal moet weet dat ek, Jehovah, gepraat het en dit gedoen het,’ sê Jehovah.”

15 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **16** “Mensekind, neem ’n stok en skryf daarop: ‘Vir Juda en vir die Israëliete wat by hom is.’^h En neem ’n ander stok en skryf daarop: ‘Vir Josef, die stok van E’fraim, en al die Israëliete wat by hom is.’ⁱ **17** Bring hulle dan naby mekaar sodat hulle net

37:9 *Of “asem; gees”. **37:10** *Of “gees”.

een stok in jou hand word.^a **18** Wanneer jou volk vir jou vra: ‘Gaan jy nie vir ons sê wat hierdie dinge beteken nie?’ **19** moet jy vir hulle sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal die stok van Josef neem, wat in die hand van E’fraim is, en die stamme van Israel wat by hom is, en ek sal hulle by die stok van Juda voeg, en ek sal hulle een stok maak,^b en hulle sal een in my hand word.”’ **20** Die stokke waarop jy skryf, moet in jou hand wees sodat hulle dit kan sien.

21 “Sê dan vir hulle: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek sal die Israeliete uit die nasies bring waarheen hulle gegaan het, en ek sal hulle uit alle rigtings bymekaarmaak en hulle na hulle land bring.^c **22** Ek sal hulle een nasie in die land maak,^d op die berge van Israel, en een koning sal oor hulle almal regeer,^e en hulle sal nie meer twee nasies wees of in twee koninkryke verdeel wees nie.^f **23** Hulle sal hulle nie meer onrein maak met hulle walglike afgode* en hulle afskuwelike gebruike en met al hulle sondes nie.^g Ek sal hulle red uit al hulle ontrouheid waardeur hulle gesondig het, en ek sal hulle reinig. Hulle sal my volk wees, en ek sal hulle God wees.^h

24 ““My kneg Dawid sal hulle koning wees,ⁱ en hulle sal almal een herder hê.^j Hulle sal my regterlike bevel volg en my wetsbepalings gehoorsaam.^k **25** Hulle sal woon in die land wat ek aan my kneg, aan Jakob, gegee het, waar julle voorvaders gewoon het.^l Hulle sal vir

37:23 *Die Hebreeuse uitdrukking vir “walglike afgode” is moontlik verwant aan ‘n woord vir “ontlasing” en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 37

- a Jes 11:13
Jer 3:18
b Jer 50:4
Sag 10:6
c De 30:3
Jes 11:12
Jer 16:14, 15
Am 9:14
d Jer 3:18
Ho 1:11
e Ge 49:10
Ps 2:6
Jes 9:6
Jer 23:5
Lu 1:32
f Ese 37:19
Sag 10:6
g Jes 2:18
Ese 11:18
Ho 14:8
Sag 13:2
h Jer 31:33
Ese 36:28
i Jer 23:5
Jer 30:9
Ho 3:5
Lu 1:32
j Joh 10:16
1Pe 5:4
k De 30:8-10
Jer 32:39
Ese 36:27
l Jer 30:3

Tweede kol.

- a Jl 3:20
b Jes 60:21
Am 9:15
c Ese 34:24
Lu 1:32
d Ese 34:25
e Jer 30:19
Sag 8:5
f Le 26:12
Ese 11:19, 20
Ese 43:7
Ho 2:23
Op 21:3
g Ese 36:23

HFST. 38

- h Ese 38:15
i Jes 66:19
Ese 27:13
Ese 32:26
j Ese 39:1
k 2Krn 19:20, 28
Ese 29:3, 4
Ese 39:2
l Ese 38:15
m 1Kr 1:8
n Ge 10:2, 3
Ese 27:14
o Ese 39:2

ewig daarin woon,^a hulle en hulle kinders en hulle kinders se kinders,^b en my kneg Dawid sal vir ewig hulle hoofman* wees.^c

26 ““Ek sal ‘n vredesverbond met hulle maak,^d en dit sal ‘n ewige verbond met hulle wees. Ek sal hulle vestig en hulle vermeerder^e en my heiligdom vir ewig onder hulle plaas. **27** My tent* sal by^f hulle wees, en ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.^f **28** En die nasies sal moet weet dat ek, Jehovah, Israel heilig wanneer my heiligdom vir ewig onder hulle is.””^g

38 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **2** “Mensekind, draai jou gesig na Gog van die land Magog,^h die belangrikste hoofman* van Meseg en Tubal,ⁱ en profeteer teen hom.^j **3** Sê: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek is teen jou, o Gog, belangrikste hoofman* van Meseg en Tubal. **4** Ek sal jou laat omdraai en hake in jou kakebene sit^k en jou uitbring met jou hele leërmag,^l perde en perderuiters, almal met pragtige kleure aan, ‘n baie groot groep met groot skilde en klein skilde,* almal met ‘n swaard in die hand. **5** Persië, Etiopië en Put^m is by hulle, almal met klein skilde en helms. **6** Gomer en al sy soldate, die huis van Togar’ma,ⁿ uit die mees afgeleë dele van die noorde, saam met al sy soldate – baie volke is by jou.^o

7 ““Wees gereed en berei julle voor, jy en jou leërmagte wat by jou bymekaargekom het, en jy sal hulle bevelvoerder* wees.

37:25; 38:2, 3 *Of “leier”. **37:27** *Of “woning; huis”. *Of “oor”. **38:4** *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. **38:7** *Lett. “wag”.

8 ““Ná baie dae sal daar aandag aan jou geskenk word.* Aan die einde van die jare sal jy die land binneval van die mense wat van die verwoestende swaard herstel het en wat uit baie volke op die berge van Israel bymekaargemaak is, 'n land wat lank verwoes gelê het. Die inwoners van hierdie land is herstel uit die volke, en hulle almal woon in veiligheid.^a 9 Jy sal soos 'n storm teen hulle kom, en jy sal die land soos wolke bedek, jy en al jou soldate en baie volke saam met jou.”

10 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Op daardie dag sal daar gedagtes in jou hart opkom, en jy sal 'n goddelose plan uitdink. 11 Jy sal sê: “Ek sal die land van onbeskermede dorpies” binneval.^b Ek sal kom teen dié wat in veiligheid woon sonder dat enigiets hulle steur, almal wat woon in dorpies wat nie deur mure, grensels of poorte beskerm word nie.” 12 Dit sal wees om hulle van hulle besittings te beroof, om die verwoeste plekke aan te val wat nou weer bewoon word,^c sowel as 'n volk wat uit die nasies bymekaargemaak is,^d wat rykdom en eiendom versamel,^e dié wat in die middel van die aarde woon.

13 “Skeba^f en Dedan,^g die handelaars van Tarsis^h en al sy vegters* sal vir jou vra: “Val jy hulle aan om hulle van hulle besittings te beroof? Het jy jou leërmagte bymekaargemaak om silwer en goud weg te dra, om rykdom en eiendom te neem, om baie besittings te vat?”

14 “Profeteer dus, mensekind, en sê vir Gog: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah

HFST. 38

a Jer 23:5, 6
Ese 28:25, 26
Ese 34:25

b Eks 15:9

c Jer 33:12

d Sag 10:8

e Jes 60:5
Jes 61:6

f Ese 27:22

g Ese 27:15

h Ese 27:25

Tweede kol.

a Ese 38:8

b Ese 39:2

c Sef 3:8

d Jl 3:2

e Eks 14:4
2Kn 19:17-19
Ps 83:17, 18
Ese 39:21f Jl 3:16
Na 1:2
Sag 2:8

g Na 1:5

h 2Kr 20:23
Hag 2:22
Sag 14:13

i Sag 14:12

j Eks 9:22
Jos 10:11

k Jes 30:30

l Ge 19:24

sê: “Die dag wanneer my volk Israel in veiligheid woon, sal jy dit beslis weet.^a 15 Jy sal uit jou plek kom, uit die mees afgeleë dele van die noorde,^b jy en baie volke saam met jou, wat almal op perde ry, 'n groot groep, 'n baie groot leërmag.^c 16 Soos wolke wat die land bedek, sal jy teen my volk Israel opkom. Ek sal jou aan die einde van die dae teen my land bring^d sodat die nasies my kan ken wanneer ek my voor hulle oë deur middel van jou heilig, o Gog.”^e

17 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah vra: ‘Is dit nie jy van wie ek in die vroeëre dae gepraat het deur my knegte, die profete van Israel, wat jare lank geprofeteer het dat jy teen hulle gebring sou word nie?’

18 “Op daardie dag, die dag wanneer Gog die land van Israel binneval,^f sê die Soewereine Heer Jehovah, ‘sal my groot woede opvlam.^f 19 In my ywer, in die vuur van my woede, sal ek praat, en op daardie dag sal daar 'n groot aardbewing in die land van Israel wees. 20 As gevolg van my sal die visse van die see bewe, sowel as die voëls van die hemel, die wilde diere van die veld, al die reptiele wat op die grond kruip en al die mense op die aarde. Die berge sal neergegooi word^g en die kranse sal val, en elke muur sal op die grond neerval.’

21 ““Ek sal deur my hele bergstreek 'n swaard teen hom oproep,^h sê die Soewereine Heer Jehovah. ‘Elkeen se swaard sal teen sy eie broer wees.^h 22 Ek sal my oordeel teen hom bring met verskriklike siektesⁱ en met bloedskulde, en ek sal 'n stortreën en hael^j en vuur^k en swael^l laat reën op hom en sy soldate en die baie volke saam met

38:8 *Of “sal jy geroep word”. 38:11

*Of “oop plattelandse gebied”. 38:13

*Of “jong maanhaarleus”.

hom.^a **23** En ek sal my beslis verheerlik en my heilig en my bekend maak voor die oë van baie nasies, en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is.’

39 “En jy, mensekind, profeteer teen Gog^b en sê vir hom: ‘Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: “Ek is teen jou, Gog, belangrikste hoofman* van Meseg en Tubal.^c **2** Ek sal jou laat omdraai en jou lei en jou uit die mees afgeleë dele van die noorde^d laat kom en jou na die berge van Israel bring. **3** Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val. **4** Jy sal op die berge van Israel val,^e jy en al jou soldate en die volke wat saam met jou sal wees. Ek sal jou as voedsel gee aan allerhande soorte roofvoëls en die wilde diere van die veld.”^f

5 “Jy sal op die oop veld val,^g want ek het dit gesê,^h sê die Soewereine Heer Jehovah.

6 “En ek sal vuur stuur teen Magog en teen dié wat in veiligheid op die eilande woon,^h en hulle sal moet weet dat ek Jehovah is. **7** Ek sal my heilige naam onder my volk Israel bekend maak, en ek sal nie meer toelaat dat my heilige naam onheilig word nie, en die nasies sal moet weet dat ek Jehovah is,ⁱ die Heilige in Israel.’^j

8 “Ja, dit kom en dit sal gebeur,’ sê die Soewereine Heer Jehovah. ‘Dit is die dag waarvan ek gepraat het. **9** Die inwoners van die stede van Israel sal uitgaan en vuur maak met die wapens – die klein skilde* en groot skilde, die boë en die pyle, die oorlogsknuppels[#] en die

39:1 *Of “leier”. **39:9** *Klein skilde is gewoonlik deur boogskutters gedra. [#]Of moontlik “handstokke”, ’n wapen met ’n skerp punt.

HFST. 38
a Jer 25:31

HFST. 39
b Ese 38:2

c Ese 27:13
Ese 32:26

d Ese 38:4, 15

e Ese 38:21

f Op 19:17, 18

g Jer 25:33

h Ese 38:22

i Ese 38:16

j Jes 6:3

Tweede kol.

a Ps 46:9

b Ese 38:2

c Ese 39:15

d De 21:22, 23

e Ese 38:16

f Ese 39:11

g Ese 39:12

spiese. Hulle sal sewe jaar lank daarmee vuur maak.^a **10** Hulle sal nie hout uit die veld hoef te dra of vuurmaakhout uit die woude hoef bymekaar te maak nie, want hulle sal met die wapens vuur maak.’

“Hulle sal die besittings vat van dié wat hulle besittings afgevat het en dié wat hulle beroof het,’ sê die Soewereine Heer Jehovah.

11 “Op daardie dag sal ek vir Gog^b ’n graf daar in Israel gee, in die vallei van dié wat oos van die see reis, en dié wat daardeur wil reis, sal nie meer daar kan verbygaan nie. Dit is waar hulle Gog en al sy skares sal begrawe, en hulle sal dit die Vallei van Hamon-Gog* noem.^c **12** Dit sal die huis van Israel sewe maande neem om hulle te begrawe, sodat hulle die land kan skoonmaak.^d **13** Die hele volk van die land sal moet help om hulle te begrawe, en dit sal vir hulle eer bring op die dag dat ek my verheerlik,^e sê die Soewereine Heer Jehovah.

14 “Manne sal aangestel word om heelyd deur die land te gaan en die lyke te begrawe wat op die oppervlak van die aarde oorgebly het, sodat die land skoongemaak kan word. Hulle sal sewe maande lank bly soek. **15** Wanneer dié wat daar deurtrek, ’n mensebeen sien, moet hulle ’n teken langs dit oprig. Dan sal dié wat aangestel is om die lyke te begrawe, dit in die Vallei van Hamon-Gog begrawe.^f **16** Daar sal ook ’n stad met die naam Hamo’na* wees. En hulle sal die land skoonmaak.^g

17 “Mensekind, dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê:

39:11 *Of “Vallei van Gog se Skares”.
39:16 *Betekend “skares”.

'Sê vir elke soort voël en vir al die wilde diere van die veld: "Kom bymekaar en kom. Kom bymekaar rondom my offerande wat ek vir julle voorberei, 'n groot offerande op die berge van Israel.^a Julle sal vleis eet en bloed drink.^b **18** Julle sal die vleis van sterkes eet en die bloed van die hoofmanne van die aarde drink – die ramme, lammers, bokke en bulle – al die vetgemaakte diere van Basan. **19** Julle sal julle ooreet aan vet en julle sal bloed drink totdat julle dronk is van die offerande wat ek vir julle voorberei."

20 "Aan my tafel sal julle vol raak van perde en strydswadrywers, sterkes en alle soorte vegters,^c sê die Soewereine Heer Jehovah.

21 "Ek sal my heerlikheid onder die nasies openbaar, en al die nasies sal sien hoe ek geoordeel en gestraf het sowel as die krag* wat ek onder hulle getoon het.^d **22** Van daardie dag af sal die huis van Israel moet weet dat ek Jehovah hulle God is. **23** En die nasies sal moet weet dat die huis van Israel weens hulle sonde in ballingskap gegaan het omdat hulle ontrou was aan my.^e Daarom het ek my gesig van hulle af weggedraai^f en hulle in die hand van hulle vyande gegee,^g en hulle almal is met die swaard doodgemaak. **24** Ek het volgens hulle onreinheid en hulle sondes teen hulle opgetree, en ek het my gesig van hulle af weggedraai."

25 "Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah: 'Ek sal die gevangenes van Jakob terugbring^h en genade betoon aan die hele huis van Israel,ⁱ en ek sal my heilige naam ywerig verdedig.^j

39:21 *Lett. "hand". **39:25** *Lett. "uitsluitlike toegewydheid vir my heilige naam toon".

HFST. 39

- a Jes 34:6-8
Jer 46:10
Sef 1:7
- b Op 19:17,18
- c Ese 38:4-6
Hag 2:22
Op 19:17,18
- d Eks 7:4
Eks 14:4
Jes 37:20
Ese 38:16
Mal 1:11
- e 2Kr 7:21,22
- f De 31:18
Jes 59:2
- g Le 26:24,25
De 32:30
Ps 106:40,41
- h Jer 30:3
Ese 34:13
- i Ho 1:11
Sag 1:16
- j Ese 36:21

Tweede kol.

- a Da 9:16
- b Le 26:5,6
- c Jer 30:10
Am 9:14
Sef 3:20
- d Jes 5:16
Ese 36:23
- e De 30:4
- f Jes 45:17
Jes 54:8
Jer 29:14
- g Jes 32:14,15
Jl 2:28

HFST. 40

- h 2Kn 24:15,16
- i 2Kn 25:8-10
Ese 33:21
- j Ese 8:3
- k Jes 2:2
- l Ese 1:5,7
Da 10:5,6
- m Ese 47:3
Sag 2:1,2
Op 11:1
Op 21:15
- n Ese 43:10

26 Nadat hulle verneder is as gevolg van al hulle ontrouheid teenoor my,^a sal hulle in veiligheid in hulle land woon, en daar sal niemand wees wat hulle bang maak nie.^b **27** Wanneer ek hulle uit die volke terugbring en hulle uit die lande van hulle vyande bymekaarmaak,^c sal ek my ook voor die oë van baie nasies onder hulle heilig.^d

28 "Hulle sal moet weet dat ek Jehovah hulle God is wanneer ek hulle in ballingskap na die nasies stuur en hulle dan terugbring na hulle land en nie een van hulle agterlaat nie.^e **29** Ek sal nie meer my gesig van hulle af wegdraai nie,^f want ek sal my gesig op die huis van Israel uitstort,^g sê die Soewereine Heer Jehovah."

40 In die 25ste jaar van ons ballingskap,^h aan die begin van die jaar, op die tiende dag van die maand, in die 14de jaar nadat die stad geval het,ⁱ op daardie selfde dag was die hand van Jehovah op my, en hy het my na die stad geneem.^j **2** Deur middel van visioene van God het hy my na die land van Israel geneem en my op 'n baie hoë berg neergesit.^k Aan die suidekant van die berg was daar iets wat soos 'n stad gelyk het.

3 Toe hy my daarheen neem, het ek 'n man gesien wat soos koper geblink het.^l Hy het 'n vlastou en 'n meetriet* in sy hand gehad,^m en hy het in die poort gestaan. **4** Die man het vir my gesê: "Mensekind, kyk mooi, luister aandagtig en skenk aandag aan* alles wat ek vir jou wys, want dit is hoekom jy hierheen gebring is. Vertel vir die huis van Israel alles wat jy sien."ⁿ

40:3 *Sien Aanb. B14. **40:4** *Lett. "rig jou hart op".

5 Ek het gesien dat daar 'n muur buite rondom die tempel* is. In die man se hand was daar 'n meetriet wat ses el lank was ('n handbreedte is by elke el gevoeg).[#] Hy het die muur begin meet, en dit was een riet dik en een riet hoog.

6 Toe het hy by die poort gekom wat oos kyk^a en met die trappe opgegaan. Toe hy die drumpel van die poort meet, was dit een riet breed, en die ander drumpel was ook een riet breed. 7 Elke kamer vir die wagte was een riet lank en een riet breed, en daar was vyf el tussen die kamers vir die wagte.^b Die drumpel van die poort langs die portaal van die poort aan die binnekant was een riet.

8 Hy het die portaal gemeet van die poort wat aan die binnekant was, en dit was een riet.

9 Toe het hy die portaal van die poort gemeet, en dit was agt el, en die sypilare was twee el. Die portaal van die poort was aan die binnekant.

10 Daar was drie kamers vir die wagte aan elke kant van die poort aan die oostekant. Al drie was ewe groot, en die sypilare aan elke kant was ewe groot.

11 Toe het hy die ingang van die poort gemeet, en dit was 10 el wyd, en die poort was 13 el lank.

12 Die afgeskorte ruimte voor die kamers vir die wagte was aan elke kant een el. Die kamers vir die wagte aan albei kante was elkeen ses el.

13 Toe het hy vanaf die poort van die dak van die een

40:5 *Lett. "huis". In hoofstuk 40-48 word dit so vertaal wanneer "huis" na die tempelkompleks of die eintlike tempelgebou verwys. [#]Lett. "'n meetriet van ses el, 'n el en 'n handbreedte". Dit is 'n lang el. Sien Aanb. B14.

HFST. 40

a Ese 40:10
Ese 43:1, 4
Ese 46:1, 2

b 1Kr 9:26, 27

Tweede kol.

a Ese 40:20, 21

b 1Kn 6:4
Ese 41:26

c 1Kn 6:35

d 1Kr 28:12

kamer vir die wagte* gemeet tot by die dak van die ander kamer, en dit was 25 el breed. Die een ingang was oorkant die ander ingang.^a 14 Toe het hy die sypilare gemeet, wat 60 el hoog was, sowel as die sypilare in die poorte reg rondom die voorhof. 15 Vanaf die voorkant van die ingang van die poort tot by die voorkant van die portaal aan die binnekant van die poort was 50 el.

16 Daar was vensters met rame wat al hoe smaller word^b in die kamers vir die wagte en in hulle sypilare aan die binnekant van die poort aan elke kant. Aan die binnekant van die portale was daar vensters aan elke kant, en daar was palmboomfigure^c op die sypilare.

17 Toe het hy my na die buitenste voorhof geneem, en ek het eetkamers^{#d} gesien en 'n plaveisel rondom die voorhof. Daar was 30 eetkamers op die plaveisel. 18 Die plaveisel aan die kant van die poorte was net so lank soos die poorte - hierdie plaveisel was laer as die binneste voorhof.

19 Toe meet hy die afstand* vanaf die voorkant van die onderste poort tot by die buitekant van die binneste voorhof. Dit was 100 el aan die oostekant en aan die noordekant.

20 Die buitenste voorhof het 'n poort gehad wat noord kyk, en hy het sy lengte en sy breedte gemeet. 21 Daar was drie kamers vir die wagte aan elke kant. Die sypilare en portaal se afmetings was dieselfde as dié van die eerste poort. Dit was 50 el lank en 25 el breed. 22 Sy vensters, sy portaal en

40:13 *Verwys moontlik na die bokant van die muur van die kamer vir die wagte. 40:17 *Of "vertrekke". 40:19 *Lett. "breedte".

sy palmboomfigure^a was net so groot soos dié van die poort aan die oostekant. Sewe trappe het daarheen gelei, en die portaal was aan die voorkant daarvan.

23 Daar was 'n poort in die binneste voorhof oorkant die poort aan die noordekant en een oorkant die poort aan die oostekant. Hy het die afstand van poort tot poort gemeet, en dit was 100 el.

24 Daarna het hy my na die suide geneem, en ek het 'n poort gesien aan die suidekant.^b Hy het die sypilare en die portaal gemeet, en dit was net so groot soos die ander. **25** Aan elke kant van die poort en die portaal was daar vensters, soos die ander vensters. Dit was 50 el lank en 25 el breed. **26** Sewe trappe het daarheen gelei,^c en die portaal was aan die voorkant daarvan. Daar was palmboomfigure op die sypilare, een aan elke kant.

27 Die binneste voorhof het 'n poort gehad wat suid kyk. Hy het van poort tot poort gemeet na die suide toe, en die afstand was 100 el. **28** Daarna het hy my deur die poort aan die suidekant na die binneste voorhof geneem, en toe hy die poort meet, was dit net so groot soos die ander poorte. **29** Die kamers vir die wagte, die sypilare en die portaal was net so groot soos die ander. Daar was vensters aan elke kant van die poort en die portaal. Dit was 50 el lank en 25 el breed.^d **30** Daar was portale reg rondom. Dit was 25 el lank en 5 el breed. **31** Die portaal het op die buitenste voorhof uitgekyk, en daar was palmboomfigure op die sypilare.^e Agt trappe het daarheen gelei.^f

32 Toe hy my van die oostekant na die binneste voorhof

HFST. 40

a Ese 41:20, 26

b Ese 46:9

c Ese 40:20, 22

d Ese 40:20, 21

e Ese 40:16

f Ese 40:32, 34
Ese 40:35, 37

Tweede kol.

a Ese 44:4

b Le 8:21

c Le 1:3, 6
Le 8:20
Ese 43:18

d Le 4:3, 4

e Le 5:6
Le 7:1
Ese 42:13
Ese 44:29

neem, het hy die poort gemeet, en dit was net so groot soos die ander poorte. **33** Die kamers vir die wagte, die sypilare en die portaal was net so groot soos die ander, en daar was vensters aan elke kant van die poort en die portaal. Dit was 50 el lank en 25 el breed. **34** Die portaal het op die buitenste voorhof uitgekyk, en daar was palmboomfigure op albei sypilare. Agt trappe het daarheen gelei.

35 Daarna het hy my na die poort aan die noordekant^a geneem en dit gemeet. Dit was net so groot soos die ander poorte. **36** Die kamers vir die wagte, die sypilare en die portaal was net so groot soos die ander. Dit het vensters aan elke kant gehad. Dit was 50 el lank en 25 el breed. **37** Die sypilare het op die buitenste voorhof uitgekyk, en daar was palmboomfigure op albei sypilare. Agt trappe het daarheen gelei.

38 Daar was 'n eetkamer met 'n ingang naby die sypilare van die poorte, waar die heelbrandoffers afgespoel is.^b

39 Daar was twee tafels aan elke kant in die portaal van die poort waarop die heelbrandoffers,^c die sonde-offers^d en die skuldoffers^e geslag is. **40** Daar was twee tafels buite die ingang van die poort aan die noordekant. Daar was ook twee tafels aan die ander kant van die portaal van die poort. **41** Daar was vier tafels aan elke kant van die poort – altesaam agt tafels – waarop offerandes geslag is. **42** Die vier tafels vir die heelbrandoffer was van gekapte klip. Hulle was een en 'n half el lank, een en 'n half el breed en een el hoog. Die gereedskap waarmee die heelbrandoffers en die offerandes geslag is, het daarop gelê. **43** Daar was

rakke, 'n handbreedte wyd, reg rondom aan die binnemure, en die vleis van die offergawes is op die tafels gesit.

44 Die eetkamers vir die sangers^a was buite die binneste poort. Dit was in die binneste voorhof naby die poort aan die noordekant en het suid gekyk. Daar was nog 'n eetkamer naby die poort aan die oostekant, en dit het noord gekyk.

45 Hy het vir my gesê: "Hierdie eetkamer wat suid kyk, is vir die priesters wat verantwoordelik is vir die tempeldiens.^b **46** Die eetkamer wat noord kyk, is vir die priesters wat verantwoordelik is vir die diens by die altaar.^c Hulle is die seuns van Sadok,^d die Leviete wat aangestel is om Jehovah te nader om hom te dien."^e

47 Toe het hy die binneste voorhof gemeet. Dit was vierkantig, 100 el lank en 100 el breed. Die altaar was voor die tempel.

48 Daarna het hy my na die portaal van die tempel^f geneem, en hy het die sypilaar van die portaal gemeet, en dit was vyf el aan die een kant en vyf el aan die ander kant. Die poort was drie el breed aan die een kant en drie el breed aan die ander kant.

49 Die portaal was 20 el lank en 11* el breed. Mense kon met trappe daarheen opgaan. Daar was pilare by die syposte, een aan elke kant.^g

41 Toe het hy my na die buitenste heiligdom* geneem, en hy het die sypilare ge-

40:49 *Of moontlik "12". **41:1** *Lett. "die tempel". In hoofstuk 41 en 42 verwys hierdie uitdrukking na die buitenste heiligdom (die Heilige) of na die hele heiligdom (die tempel, insluitende die Heilige en die Allerheiligste).

HFST. 40

a 1Kr 6:31, 32

b Nu 3:6-8
1Kr 9:22, 23
Ps 134:1

c Le 6:12, 13
Nu 18:5
2Kr 13:10, 11

d 1Kn 2:35
Ese 43:19

e Nu 16:39, 40
Ese 44:15, 16

f 1Kn 6:3
2Kr 3:4

g 1Kn 7:21

Tweede kol.

HFST. 41

a 1Kn 6:20
2Kr 3:8

b Eks 26:33

c 1Kn 6:5

d 1Kn 6:6, 10

e 1Kn 6:8

meet. Hulle was ses el* breed aan die een kant en ses el breed aan die ander kant. **2** Die ingang was tien el wyd, en die symure* van die ingang was vyf el aan die een kant en vyf el aan die ander kant. Hy het die lengte gemeet, en dit was 40 el, en die breedte was 20 el.

3 Toe het hy ingegaan* en die sypilaar van die ingang gemeet, en dit was twee el dik, en die ingang was ses el wyd. Die symure van die ingang^a was sewe el. **4** Daarna het hy die vertrek gemeet wat langs die buitenste heiligdom was, en dit was 20 el lank en 20 el breed.^a En hy het vir my gesê: "Dit is die Allerheiligste."^b

5 Daarna het hy die muur van die tempel gemeet, en dit was ses el dik. Die syvertrekke rondom die tempel was vier el breed.^c **6** Die syvertrekke was drie verdiepings hoog, een bo-op die ander, en daar was 30 kamers op elke verdieping. Daar was stutte al om die muur van die tempel, en die syvertrekke het op die stutte gerus sonder dat die stutte in die muur ingegaan het.^d **7** Aan albei kante van die tempel was daar 'n spiraaltrap wat al hoe breër geword het na die boonste vertrekke toe.^e Dit het van een verdieping na die volgende al hoe breër geword as 'n mens van die onderste verdieping af deur die middelste verdieping na die boonste verdieping opgegaan het.

8 Ek het gesien dat daar 'n verhoog reg rondom die tempel was, en die fundamente van die syvertrekke het tot by die hoek

41:1 *Verwys na die lang el. Sien Aanh. B14. **41:2** *Lett. "sye". **41:3** *D.w.s. in die binneste heiligdom, of Allerheiligste, in. ^aLett. "Die wydte van die ingang".

'n volle riet van ses el gemeet. **9** Die buitenste muur van die syvertrekke was vyf el breed. Daar was 'n oop ruimte* langs die syvertrekke wat deel van die tempel was.

10 Tussen die tempel en die eetkamers*^a was daar 'n ruimte aan elke kant wat 20 el breed was. **11** Daar was 'n ingang tussen die syvertrekke en die oop ruimte aan die noordekant en 'n ander ingang aan die suidekant. Die oop ruimte was reg rondom vyf el breed.

12 Die gebou aan die westekant wat oor die oop ruimte uitgekyk het, was 70 el breed en 90 el lank. Die muur van die gebou was reg rondom vyf el dik.

13 Hy het die tempel gemeet, en dit was 100 el lank. Die oop ruimte, die gebou* en sy mure was ook 100 el lank.

14 Die breedte van die voorkant van die tempel, wat oos gekyk het, en die oop ruimte was 100 el.

15 Hy het die gebou gemeet wat uitgekyk het op die oop ruimte aan die agterkant, saam met die galerye aan albei kante, en dit was 100 el lank.

Hy het ook die buitenste heiligdom en die binneste heiligdom^b gemeet, sowel as die portale van die voorhof, **16** die drumpels, die vensters met rame wat al hoe smaller word^c en die galerye wat in daardie drie dele was. Naby die drupel was daar houtpaneel^d van die vloer af tot by die vensters, en die vensters was bedek. **17** Afmetings is geneem bo die ingang en in die binnekant van die tempel en aan die

41:9 *Blykbaar 'n smal loopvlak rondom die tempel. **41:10** *Of "vertrekke". **41:13** *D.w.s. die gebou wes van die heiligdom.

HFST. 41
a 1Kr 28:12

b 2Kr 3:8
Ese 41:4

c 1Kn 6:4

d 1Kn 6:15
2Kr 3:5

Tweede kol.

a 1Kn 6:29
1Kn 7:36
2Kr 3:7

b Ese 40:16

c Ese 1:5,10
Op 4:7

d 1Kn 6:33

e Eks 30:1
1Kn 7:48
Op 8:3

f Ese 44:16
Mal 1:7

g 1Kn 6:31-35

h Ese 41:17,18

i Ese 40:16

HFST. 42
j Ese 40:2

buitekant en op die hele muur reg rondom. **18** Dit het gegraveerde gerubs^a en palmboomfigure^b gehad, en elke palmboom was tussen twee gerubs, en elke gerub het twee gesigte gehad. **19** Die gesig van 'n mens het na die palmboom aan die een kant gekyk, en die gesig van 'n leeu* het na die palmboom aan die ander kant gekyk.^c Dit was hoe hulle deur die hele tempel gegraveer is. **20** Daar was gegraveerde gerubs en palmboomfigure op die muur van die heiligdom, van die vloer af tot bo die ingang.

21 Die deurposte* van die heiligdom was vierkantig.^d Voor die heilige plek^e was daar iets wat gelyk het soos **22** 'n houtaltaar^e wat drie el hoog en twee el lank was. Dit het hoekstutte gehad, en sy voetstuk* en kante was van hout gemaak. Toe het hy vir my gesê: "Dit is die tafel wat voor Jehovah is."^f

23 Die buitenste heiligdom en die heilige plek het elkeen twee deure gehad.^g **24** Elke deur was 'n dubbeldeur wat kon oopswaai. **25** Daar was gegraveerde gerubs en palmboomfigure op die deure van die heiligdom, net soos dié wat op die mure was.^h Daar was ook 'n houtafdak aan die voorkant van die portaal aan die buitekant. **26** Daar was ook vensters met rame wat al hoe smaller wordⁱ en palmboomfigure al langs die twee kante van die portaal en al langs die syvertrekke van die tempel en die afdakke.

42 Toe het hy my na die noordekant van die buitenste voorhof geneem.^j En hy

41:19 *Of "jong maanhaarleeu". **41:21** *Lett. "Die deurpos". Verwys blykbaar na die ingang tot die Heilige. ^eVerwys blykbaar na die Allerheiligste. **41:22** *Lett. "lengte".

het my na die eetkamerblok gebring wat langs die oop ruimte^a noord van die oorkantste gebou^b was. **2** Die noordelike ingang was 100 el* lank en 50 el breed. **3** Dit was tussen die binneste voorhof, wat 20 el breed was,^c en die plaveisel van die buitenste voorhof. Die galerye was oorkant mekaar en was drie verdiepings hoog. **4** Voor die eetkamers* was daar 'n binneste gang,^d 10 el breed en 100 el lank,^e en die ingange het noord gekyk. **5** Die boonste eetkamers van die gebou was nouer as dié op die middelste en onderste verdiepings, want die galerye het meer ruimte opgeneem. **6** Dit was drie verdiepings hoog, maar dit het nie pilare gehad soos die pilare van die voorhowe nie. Daarom was daar minder vloerruimte as op die onderste en die middelste verdiepings.

7 Naby die eetkamers langs die buitenste voorhof wat oorkant die ander eetkamers was, was daar 'n buitenste klipmuur wat 50 el lank was. **8** Die eetkamers langs die buitenste voorhof was 50 el lank, maar die eetkamers oorkant die heiligdom was 100 el lank. **9** Daar was 'n ingang aan die oostekant wat van die buitenste voorhof na die eetkamers toe gelei het.

10 Daar was ook eetkamers agter* die klipmuur van die voorhof aan die oostekant, naby die oop ruimte en die gebou.^e **11** Voor die eetkamers was daar 'n gang, net soos by

42:2 *Verwys na die lang el. Sien Aanh. B14. **42:4** *Of "vertrekke". "Volgens die Griekse *Septuagint*, "100 el lank". Die Hebreeuse teks sê: "'n weg van een el." Sien Aanh. B14. **42:10** *Lett. "in die breedte van".

HFST. 42

a Ese 42:13

b Ese 41:12, 15

c Ese 41:10

d Ese 42:10, 11

e Ese 41:12
Ese 42:1

Tweede kol.

a Ese 42:4

b Ese 42:9

c Ese 42:1

d Le 6:14, 16
Le 7:1, 6
Le 10:12, 13
Le 24:8, 9
Nu 18:10
Ese 40:46e Le 2:3
Nu 18:9
Ne 13:5f Eks 28:40
Eks 29:8, 9
Le 8:13
Ese 44:19

g Ese 40:6

die eetkamers aan die noordekant.^a Die eetkamers was net so lank en breed soos die ander en het dieselfde uitgange en uitleg gehad. Hulle ingange **12** was soos die ingange van die eetkamers aan die suidekant. Daar was 'n ingang aan die begin van die gang, voor die aangrensende klipmuur wat aan die oostekant was, waar iemand kon inkom.^b

13 Toe het hy vir my gesê: "Die eetkamers aan die noordekant en die eetkamers aan die suidekant wat langs die oop ruimte^c is, is die heilige eetkamers waar die priesters wat Jehovah nader, die besonder heilige offerandes eet.^d Hulle sit die besonder heilige offerandes, die graanoffer, die sonde-offer en die skuldoffer hier neer, want hierdie plek is heilig.^e **14** Wanneer die priesters inkom, mag hulle nie uit die heiligdom na die buitenste voorhof gaan voordat hulle die klere uittrek waarin hulle diens doen nie,^f want hierdie klere is heilig. Hulle moet ander klere aantrek as hulle na die dele wil gaan waar die volk toegelaat word om te gaan."

15 Toe hy die binneste tempelgebied* klaar gemeet het, het hy my uitgebring deur die poort wat oos kyk,^g en hy het die hele area gemeet.

16 Hy het die oostekant met die meetriet* gemeet, en dit was 500 riet van die een kant na die ander kant.

17 Hy het die noordekant met die meetriet gemeet, en dit was 500 riet.

18 Hy het die suidekant met die meetriet gemeet, en dit was 500 riet.

42:15 *Lett. "huis". **42:16** *Sien Aanh. B14.

19 Hy het omgegaan na die westekant toe. Hy het 500 riet met die meetriet gemeet.

20 Hy het die vier kante gemeet. Dit het 'n muur reg rondom gehad^a wat 500 riet lank was en 500 riet breed,^b om 'n skeiding te maak tussen wat heilig is en wat vir algemene gebruik is.^c

43 Toe het hy my na die poort geneem wat oos kyk.^d **2** Daar het ek die heerlijkheid van die God van Israel uit die ooste sien kom,^e en sy stem was soos die geraas van stormwaters,^f en die aarde is verlig deur sy heerlijkheid.^g **3** Wat ek gesien het, het gelyk soos die visioen wat ek gesien het toe ek* gekom het om die stad te vernietig, en dit het gelyk soos wat ek naby die Kebarrivier gesien het,^h en ek het met my gesig na die grond toe neergeval.

4 Toe het die heerlijkheid van Jehovah in die tempel* ingegaan deur die poort wat oos kyk.ⁱ **5** 'n Gees het my toe opgelig en my na die binneste voorhof gebring, en ek het gesien dat die tempel vol was van die heerlijkheid van Jehovah.^j **6** Toe het ek iemand uit die tempel met my hoor praat, en die man het langs my kom staan.^k **7** Hy het vir my gesê:

“Mensekind, dit is die plek van my troon^l en die plek vir my voetsole,^m waar ek vir ewig by die Israëliete sal woon.ⁿ Die huis van Israel sal nie meer my heilige naam ontheilig nie,^o hulle en hulle konings, deur hulle ontrouheid* en deur die lyke van hulle konings by hulle dood. **8** Hulle het hulle ingang

43:3 *Of moontlik “hy”. **43:4** *Lett. “huis”. **43:7, 9** *Of “geestelike prostitusie”.

HFST. 42

a Ese 40:5

b Ese 45:1, 2

c Le 10:10

Ese 44:23

2Kor 6:17

HFST. 43

d Ese 40:6

Ese 42:15

Ese 44:1

e Ese 9:3

Ese 11:23

f Ese 1:24

Joh 12:28, 29

g Jes 6:3

Ese 10:4

h Ese 1:3, 4

Ese 3:23

i Ese 10:19

Ese 44:1, 2

j Eks 40:34

1Kn 8:10

Ese 44:4

k Ese 40:3

l Jes 6:1

Jer 3:17

Ese 1:26

m 1Kr 28:2

n Eks 29:45

Ps 68:16

Ps 132:14

Jl 3:17

o Ese 39:7

Sag 13:2

Tweede kol.

a Ese 8:3

b Da 9:12

c Ese 37:23

Ese 37:26

2Kor 6:16

d Ese 40:4

e Ese 16:63

f Ese 44:5

g Ese 11:19, 20

Ese 36:27

h Ps 93:5

Ese 40:2

Ese 42:20

i Eks 27:1

2Kr 4:1

langs my ingang gesit en hulle deurpos langs my deurpos, met net 'n muur tussen my en hulle.^a So het hulle my heilige naam ontheilig deur die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het, en daarom het ek hulle in my woede vernietig.^b **9** Laat hulle nou hulle ontrouheid* en die lyke van hulle konings ver van my af verwyder, en ek sal vir ewig by hulle woon.^c

10 “En jy, mensekind, beskryf die tempel aan die huis van Israel^d sodat hulle skaam kan kry weens hulle sondes,^e en hulle moet die ontwerp daarvan bestudeer. **11** As hulle skaam kry oor alles wat hulle gedoen het, moet jy die grondplan van die tempel, sy uitleg, sy uitgange en sy ingange aan hulle bekend maak.^f Wys vir hulle al die grondplanne en wetsbepalings, die grondplanne en die wette, en skryf dit voor hulle oë neer sodat hulle by die hele grondplan kan bly en al sy wetsbepalings kan gehoorsaam.^g **12** Dit is die wet van die tempel: Die hele gebied rondom die top van die berg is besonder heilig.^h Ja, dit is die wet van die tempel.

13 “Dit is die afmetings van die altaar in elⁱ ('n handbreedte is by elke el gevoeg).^{*} Die voetstuk is 'n el hoog en 'n el breed. Dit het 'n opstaande rand reg rondom wat een span^z breed is. Dit is die voetstuk van die altaar. **14** Vanaf die onderkant van die voetstuk tot by die onderste vlak is twee el, en dit is een el breed. Vanaf die onderste vlak, die klein vlak, tot by die volgende vlak, die groot

43:13 *Verwys na die lang el. Sien Aanh. B14. ^zD.w.s. die afstand van die punt van die duim tot by die punt van die pinkie, omtrent 22,2 cm. Sien Aanh. B14.

vlak, is vier el, en dit is een el breed. **15** Die vuurherd van die altaar is vier el hoog, en vier horings^a steek bo die vuurherd uit. **16** Die vuurherd is vierkantig, 12 el lank en 12 el breed.^b **17** Die vlak om die altaar is vierkantig, 14 el lank en 14 el breed. Die rand rondom is 'n halwe el, en die voetstuk daarvan is 'n el aan elke kant.

“En die trappe daarvan kyk oos.”

18 Toe het hy vir my gesê: “Mensekind, dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Dit is die riglyne wat gevolg moet word wanneer die altaar gemaak word, sodat heelbrandoffers daarop geoffer en bloed daarop gesprinkel kan word.’^c

19 “Jy moet 'n jong bul uit die beeste as 'n sonde-offer gee^d aan die Levitiese priesters van die nageslag van Sadok,^e dié wat my nader om my te dien,^f sê die Soewereine Heer Jehovah. **20** ‘Jy moet van sy bloed neem en dit aan die vier horings van die altaar smeer, aan die vier hoeke van die boonste vlak van die altaar en aan die rand reg rondom, om dit van sonde te reinig en daarvoor versoening te doen.^f **21** Neem dan die jong bul, die sonde-offer, om dit op die vasgestelde plek van die tempel te verbrand, buite die heiligdom.^g **22** Op die tweede dag moet jy 'n bokram sonder gebrek as 'n sonde-offer aanbied, en die priesters moet die altaar van sonde reinig net soos hulle dit met die jong bul van sonde gereinig het.’

23 “Nadat jy dit van sonde gereinig het, moet jy 'n jong bul sonder gebrek uit die beeste en 'n skaapram sonder gebrek uit die kleinvee offer. **24** Jy moet hulle vir Jehovah aanbied, en die priesters moet sout daar-

HFST. 43

a Eks 27:2
Op 9:13

b Eks 38:1
2Kr 4:1

c Eks 40:29
Le 1:5
Le 8:18-21
Ese 45:19

d Eks 29:10
Le 8:14

e Ese 40:46
Ese 44:15
Ese 48:11

f Eks 29:36, 37
Le 8:15
Heb 9:23

g Eks 29:14
Le 8:17
Heb 13:11

Tweede kol.

a Le 2:13

b Eks 29:35

c Le 9:1

d Ese 20:40

HFST. 44

e Ese 43:1

f Ese 46:1

g Ese 43:2

h De 12:5, 7

i Ese 46:2

j Jes 6:1-3
Ese 10:4

k Ese 1:27, 28
Ese 3:23

op gooi^a en hulle as 'n heelbrandoffer aan Jehovah bring. **25** Sewe dae lank moet jy 'n bokram as 'n daaglikse sonde-offer bring,^b sowel as 'n jong bul uit die beeste en 'n skaapram uit die kleinvee. Jy moet diere sonder gebrek* offer. **26** Sewe dae lank moet hulle vir die altaar versoening doen, en hulle moet dit reinig en dit inwy. **27** Wanneer die dae verby is, moet die priesters op die agtste dag^c en daarna julle heelbrandoffers* en julle vrede-offers^d op die altaar offer, en julle sal my hart bly maak,^d sê die Soewereine Heer Jehovah.”

44 Hy het my teruggebring deur die buitenste poort van die heiligdom wat oos kyk,^e en dit was gesluit.^f **2** Toe het Jehovah vir my gesê: “Hierdie poort moet gesluit bly. Dit mag nie oopgemaak word nie, en geen mens mag daardeur inkom nie, want Jehovah, die God van Israel, het daardeur ingekom,^g en daarom moet dit gesluit bly. **3** Maar die hoofman moet daarin sit om voor Jehovah brood te eet,^h want hy is 'n hoofman. Hy moet deur die portaal van die poort inkom en daardeur uitgaan.”ⁱ

4 Daarna het hy my deur die poort aan die noordekant tot by die voorkant van die tempel gebring. Toe het ek gekyk en gesien dat die heerlikheid van Jehovah die tempel van Jehovah gevul het.^j Daarom het ek met my gesig na die grond toe neergeval.^k **5** Toe het Jehovah vir my gesê: “Mensekind, skenk aandag,* kyk, en luister mooi na alles wat ek vir jou sê oor die

43:25 *Of “wat volmaak is”. **43:27**

*D.w.s. die volk se heelbrandoffers.

^dOf “gemeenskapsoffers”. **44:5**

*Lett. “rig jou hart op”.

wetsbepalings en die wette van die tempel van Jehovah. Skenk goed aandag aan die ingang van die tempel en aan al die uitgange van die heiligdom.^a **6** Jy moet vir die opstandige huis van Israel sê: 'Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Ek het nou genoeg gehad van julle afskuwelike gebruike, o huis van Israel. **7** Wanneer julle uitlanders wie se hart en vlees nie besny is nie, in my heiligdom inbring, onheilig hulle my tempel. Julle bied vir my brood, vet en bloed aan terwyl julle my verbond verbreek met al julle afskuwelike gebruike. **8** Julle het nie na my heilige dinge omgesien nie.^b Julle stel eerder ander aan om die pligte in my heiligdom na te kom."

9 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Geen uitlander wat in Israel woon en wie se hart en vlees nie besny is nie, mag in my heiligdom inkom nie."

10 "Maar die Leviete wat ver van my af weggedwaal het^c toe Israel van my af weggedwaal het om agter hulle walglike afgode* aan te gaan, sal die gevolge van hulle sonde dra. **11** En hulle sal dienaars in my heiligdom word om toesig te hou oor die poorte van die tempel^d en om diens in die tempel te doen. Hulle moet die heelbrandoffer en die offerande vir die volk slag, en hulle moet voor die volk staan om hulle te dien. **12** Omdat hulle die volk voor hulle walglike afgode gedien het en 'n struikelblok geword het wat die huis van Israel laat sondig,^e het ek my hand in 'n eed

44:10 *Die Hebreeuse uitdrukking vir "walglike afgode" is moontlik verwant aan 'n woord vir "ontlasting" en word gebruik om veragting aan te dui.

HFST. 44

a Ese 40:4

b Le 22:2
Nu 18:2, 3

c 2Kn 23:8, 9
2Kr 29:1, 5
Ne 9:34
Jer 23:11
Ese 8:5

d 1Kr 26:1

e Jes 9:16
Mal 2:8

Tweede kol.

a Nu 18:2, 4

b 1Kn 2:35
Ese 40:46

c Ese 48:9, 11

d Le 3:14-16

e Le 17:6

f Ese 41:21, 22

g Nu 18:7

h Eks 28:39, 42
Eks 39:27, 28
Le 16:4

i Eks 28:40, 42

j Le 6:10
Ese 42:14

k Ese 42:13

teen hulle opgelig,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'en hulle sal die gevolge van hulle sonde dra. **13** Hulle sal my nie nader om as my priesters te dien of naby enige van my heilige dinge of besonder heilige dinge kom nie. Hulle sal hulle skande dra vir al die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het. **14** Maar ek sal hulle aanstel om die verantwoordelikhede van die tempel na te kom, om na die dienste daarvan en na al die dinge wat daarinn gedoen moet word, om te sien.'^a

15 "Die Levitiese priesters, die seuns van Sadok,^b wat die verantwoordelikhede van my heiligdom nagekom het toe die Israëliete van my af weggedwaal het,^c sal my nader om my te dien, en hulle sal voor my staan om die vet^d en die bloed^e vir my aan te bied,' sê die Soewereine Heer Jehovah. **16** 'Dit is hulle wat in my heiligdom sal inkom, en hulle sal my tafel nader om my te dien,^f en hulle sal hulle verantwoordelikhede teenoor my nakom.^g

17 "Wanneer hulle in die poorte van die binneste voorhof kom, moet hulle linneklere dra.^h Hulle moenie enige wol dra wanneer hulle in die poorte van die binneste voorhof of die plekke daarbinne dien nie. **18** Hulle moet tulbande van linne op hulle koppe dra en hulle moet kortbroeke van linne dra.ⁱ Hulle moet niks dra wat hulle laat sweet nie. **19** Voordat hulle uitgaan na die buitenste voorhof – die buitenste voorhof waar die volk is – moet hulle die klere uitrek waarin hulle gedien het/ en dit in die heilige eetkamers* neersit.^k Dan moet hulle

44:19 *Of "vertrekke".

ander klere aantrek sodat hulle nie deur middel van hulle klere heiligheid aan die volk oordra nie. **20** Hulle moenie hulle koppe kaal skeer^a of die hare op hulle koppe lank laat groei nie. Hulle moet die hare op hulle koppe knip. **21** Die priesters moenie wyn drink wanneer hulle in die binneste voorhof ingaan nie.^b **22** Hulle moenie met 'n weduwee of 'n geskeide vrou trou nie,^c maar hulle mag trou met 'n maagd uit die nageslag van Israel of die weduwee van 'n priester.^d

23 "Hulle moet my volk die verskil leer tussen wat heilig en nie heilig is nie, en hulle sal hulle die verskil leer tussen wat rein en onrein is.^e **24** Hulle moet as regters in 'n regspraak optree.^f Hulle moet in ooreenstemming met my regterlike bevels daarin oordeel.^g Hulle moet my wette en my wetsbepalings in verband met al my feeste^h gehoorsaam en my sabbatte heilig. **25** Hulle mag nie naby enige dooie mens kom nie, anders sal hulle onrein word. Maar hulle mag hulle onrein maak vir hulle pa, ma, seun, dogter, broer of vir 'n ongetroude suster.ⁱ **26** En nadat 'n priester gereinig is, moet hulle vir hom sewe dae aftel. **27** Op die dag dat hy in die heiligdom inkom, in die binneste voorhof, om in die heiligdom te dien, moet hy sy sonde-offer aanbied,^j sê die Soewereine Heer Jehovah.

28 "En dit sal hulle erfdeel wees: Ek is hulle erfdeel.^k Julle mag hulle geen besitting in Israel gee nie, want ek is hulle besitting. **29** Dit sal hulle wees wat die graanoffer,^l die sonde-offer en die skuldoffer^m eet, en alles in Israel wat iemand aan God toegewy het, sal hulle s'n word.ⁿ **30** Die bes-

HFST. 44

- a Le 21:1, 5
De 14:1
b Le 10:9
c Le 21:7
d Le 21:10, 14
e Mal 2:7
f De 17:9
g 1Kr 23:3, 4
2Kr 19:8
h Le 23:2
i Le 21:1-3
j Le 4:3
k Nu 18:20
De 18:1
Jos 13:14
Ese 45:4
l Le 2:3
m Le 6:17, 18
Le 7:1, 6
1Kor 9:13
n Le 27:21
Nu 18:14

Tweede kol.

- a Eks 23:19
Nu 18:8, 12
Nu 18:26, 27
De 18:4
b Nu 15:20
Ne 10:35-37
c Spr 3:9, 10
Mal 3:10
d Eks 22:31
Le 22:3, 8

HFST. 45

- e Jos 14:1, 2
Ese 47:21, 22
f Ese 48:20
g Ese 48:8, 9
h Ese 42:20
i Jos 21:1, 2
j Ese 48:10, 11
k Ese 40:46
l Ese 48:13
m Ese 40:17
n Ese 48:15

te van die eerste opbrengs en die beste van elke soort bydrae wat julle gee, sal aan die priesters behoort.^a En julle moet julle eerste growwe meel* aan die priester gee.^b Dan sal julle huisgesinne geseën wees.^c **31** Die priesters mag nie enige voël of dier eet wat dood gevind is of verskeur is nie.^d

45 "Wanneer julle die land as 'n erfdeel toewys,^e moet julle 'n heilige deel uit die land as 'n bydrae vir Jehovah aanbied.^f Dit moet 25 000 el* lank en 10 000 el breed wees.^g Die hele gebied sal^h 'n heilige deel wees. **2** In hierdie gebied moet daar 'n vierkantige stuk grond vir die heiligdom wees, en dit moet 500 el by 500 el* wees,^h met 'n stuk grond van 50 el aan elke kant as weiveld.ⁱ **3** Uit daardie afgemete gebied moet jy 'n stuk afmeet wat 25 000 el lank en 10 000 el breed is, en daarin moet die heiligdom wees, iets besonder heiligs. **4** Dit sal 'n heilige deel uit die land vir die priesters wees,^j die dienaars van die heiligdom, wat nader kom om Jehovah te dien.^k Dit sal 'n plek vir hulle huise wees, en 'n heilige plek vir die heiligdom.

5 "Daar moet vir die Leviete, die dienaars van die tempel, 'n deel wees wat 25 000 el lank en 10 000 el breed is,^l en hulle moet 20 eetkamers*^m as 'n besitting hê.

6 "Julle moet aan die stad 'n stuk grond as besitting gee wat 25 000 el lank (in ooreenstemming met die heilige bydrae) en 5 000 el breed is.ⁿ Dit moet

44:30 *Of "die eersteling van julle growwe meel". Sien Woordelys. **45:1** *Verwys na die lang el. Sien Aanb. B14. #Of "Binne al sy grense sal daar". **45:2** *Lett. "500 by 500". **45:5** *Of "vertrekke".

aan die hele huis van Israel behoort.

7 “En vir die hoofman moet daar grond wees aan albei kante van die heilige bydrae en van die grond wat aan die stad gegee is. Dit moet langs die heilige bydrae en die grond wees wat aan die stad gegee is. Dit moet aan die westekant en aan die oostekant wees. Van die westelike grens tot by die oostelike grens moet dit net so lank wees soos een van die stamdele.^a **8** Hierdie land sal sy besitting in Israel word. My hoofmanne sal my volk nie meer sleg behandel nie,^b en hulle sal die land aan die huis van Israel gee volgens hulle stamme.^c

9 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘Julle het ver genoeg gegaan, hoofmanne van Israel!’

“Hou op met julle geweld en onderdrukking, en doen wat reg en regverdig is.^d Hou op om my volk van hulle eiendom te berooft,^e sê die Soewereine Heer Jehovah. **10** ‘Julle moet ’n akkurate weegskaal, ’n akkurate efa* en ’n akkurate bat* gebruik.^f **11** Daar moet net een vasgestelde hoeveelheid vir die efa en die bat wees. Die bat moet ’n tiende van ’n homer* wees, en die efa moet ’n tiende van ’n homer wees. Die homer moet die standaardmate wees. **12** Die sikkels*^g moet 20 gera* wees. En 20 sikkels plus 25 sikkels plus 15 sikkels moet vir julle ’n mine^h wees.’

13 “Dit is die bydrae wat julle moet aanbied: ’n sesde van ’n efa uit elke homer koring en ’n sesde van ’n efa uit elke homer gars. **14** Die toegewese deel van die olie moet volgens

45:10-12, 14 *Sien Aanb. B14. 45:12 ^aOf “mina”. Sien Aanb. B14.

HFST. 45

a Ese 48:21

b Jes 32:1
Jes 60:17
Jer 22:17
Jer 23:5
Ese 22:27
Ese 46:18
Mi 3:1-3

c Jos 11:23

d Jer 22:3
Mi 6:8
Sag 8:16

e Mi 2:2

f Le 19:36
Spr 11:1
Am 8:5
Mi 6:10, 11

g Eks 30:13

Tweede kol.

a Le 2:1

b Le 1:10

c Le 3:1

d Le 1:4
Le 6:30
Heb 9:22

e Eks 30:14

f 1Kr 16:2
2Kr 30:24

g 1Kn 8:64

h 2Kr 35:7

i Jes 66:23

j De 16:16
2Kr 8:12, 13
2Kr 31:3

k Le 16:16

l Ese 41:21

m Le 4:27, 28

n Le 16:20

o Le 23:5

die bat wees. Die bat is ’n tiende van ’n kor,* en tien bat is ’n homer, want tien bat is gelyk aan ’n homer. **15** En uit die kleinvee van Israel moet een skaap uit elke 200 skape gegee word. Dit moet vir die graanoffer,^a die heelbrandoffer^b en die vrede-offers*^c wees om vir die volk versoening te doen,^d sê die Soewereine Heer Jehovah.

16 “Die hele volk van die land moet hierdie bydrae^e aan die hoofman in Israel gee. **17** Maar die hoofman sal verantwoordelik wees vir die heelbrandoffers,^f die graanoffer^g en die drankoffer gedurende die feeste,^h die nuwemane, die Sabbateⁱ en al die vasgestelde feeste van die huis van Israel.^j Hy moet die sonde-offer, die graanoffer, die heelbrandoffer en die vrede-offers* voorsien om vir die huis van Israel versoening te doen.’

18 “Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: ‘In die eerste maand, op die eerste dag van die maand, moet jy ’n jong bul sonder gebrek uit die beste neem, en jy moet die heiligdom van sonde reinig.^k **19** Die priester moet van die bloed van die sonde-offer neem en dit aan die deurpos van die tempel^l smeer, sowel as aan die vier hoeke van die altaar en die deurpos van die poort van die binneste voorhof. **20** Dit is wat jy op die sewende dag van die maand moet doen ter wille van enigiemand wat onopsetlik of onwetend sondig,^m en julle moet vir die tempel versoening doen.ⁿ

21 “In die eerste maand, op die 14de dag van die maand, moet julle die Pasgafees hou.^o Julle moet sewe dae lank

45:15, 17 *Of “gemeenskapsoffers”.

ongesuurde brode eet.^a **22** Op daardie dag moet die hoofman vir homself en vir die hele volk van die land 'n jong bul as 'n sonde-offer voorsien.^b **23** Tydens die sewe dae van die fees moet hy sewe dae lank elke dag sewe jong bulle en sewe skaapramme sonder gebrek as 'n heelbrandoffer aan Jehovah voorsien.^c Hy moet ook elke dag 'n bokram as 'n sonde-offer voorsien. **24** Hy moet ook 'n efa meel vir elke jong bul en 'n efa meel vir elke ram as 'n graanoffer voorsien, en 'n hin* olie vir elke efa meel.

25 "In die sewende maand, op die 15de dag van die maand, moet hy sewe dae lank gedurende die fees^d dieselfde sonde-offer, heelbrandoffer, graanoffer en olie voorsien."

46 "Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: 'Die poort van die binneste voorhof wat oos kyk,^e moet gedurende die ses werksdae^f gesluit bly,^g maar op die Sabbatdag en op die dag van die nuwemaan moet dit oopgemaak word. **2** Die hoofman moet deur die portaal van die poort inkom,^h en hy moet by die deurpos van die poort gaan staan. Die priesters moet sy heelbrandoffer en sy vrede-offers* offer, en hy moet by die ingang van die poort neerbuig, en dan moet hy uitgaan. Maar die poort moet eers teen die aand gesluit word. **3** Die volk van die land moet ook op die Sabbatte en op die nuwemane by die ingang van hierdie poort voor Jehovah neerbuig.ⁱ

4 "Die heelbrandoffer wat die hoofman op die Sabbatdag vir Jehovah moet aanbied, moet

45:24; 46:5 *Sien Aanh. B14. 46:2, 12 *Of "gemeenskapsoffers".

HFST. 45

a Eks 12:18

b Le 4:13,14

c Le 23:8

d Le 23:34
De 16:13
2Kr 7:8
Sag 14:16

HFST. 46

e Ese 40:32

f Eks 20:9

g Ese 44:1,2

h Ese 44:3

i Ps 81:3
Jes 66:23

Tweede kol.

a Nu 28:9,10
Ese 45:17

b Ese 46:11

c Nu 28:11-15

d Ese 46:2

e Eks 23:14
De 16:16

f Ese 40:20

g Ese 40:24

h Ese 45:21,24
Ese 46:6,7

i Le 1:3

uit ses ramlammers sonder gebrek en 'n skaapram sonder gebrek bestaan.^a **5** As 'n graanoffer moet hy 'n efa* meel vir die skaapram gee en wat hy ook al vir die ramlammers kan gee, sowel as 'n hin* olie vir elke efa meel.^b **6** Op die dag van die nuwemaan moet die offerande bestaan uit 'n jong bul uit die beeste, ses ramlammers en 'n skaapram. Hulle moet almal sonder gebrek wees.^c **7** As 'n graanoffer moet hy 'n efa meel vir die jong bul bring, sowel as 'n efa meel vir die skaapram en wat hy ook al vir die ramlammers kan bekostig. En hy moet 'n hin olie vir elke efa meel offer.

8 "Wanneer die hoofman inkom, moet hy deur die portaal van die poort inkom, en hy moet weer daardeur uitgaan.^d **9** En wanneer die volk van die land gedurende die feeste voor Jehovah inkom,^e moet dié wat deur die poort aan die noordekant^f inkom om te aanbid, deur die poort aan die suidekant^g uitgaan, en dié wat deur die poort aan die suidekant inkom, moet deur die poort aan die noordekant uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waardeer hy ingekom het nie, want hulle moet deur die oorkantste poort uitgaan. **10** Die hoofman wat by hulle is, moet inkom wanneer hulle inkom, en hy moet uitgaan wanneer hulle uitgaan. **11** Gedurende die feeste en die feestye moet die graanoffer bestaan uit 'n efa meel vir die jong bul, 'n efa meel vir die skaapram en wat hy ook al vir die ramlammers kan gee, saam met 'n hin olie vir elke efa meel.^h

12 "As die hoofman 'n heelbrandofferⁱ of vrede-offers* as 'n vrywillige offer aan Jehovah

bring, moet die poort wat oos kyk vir hom ooggemaak word, en hy moet sy heelbrandoffer en sy vrede-offers* voorsien soos hy op die Sabbatdag doen.^a Nadat hy uitgegaan het, moet die poort gesluit word.^b

13 “Jy moet elke dag ’n ramlam sonder gebrek in sy eerste jaar as ’n heelbrandoffer aan Jehovah bring.^c Jy moet dit elke oggend doen. **14** Dan moet jy ook elke oggend ’n sesde van ’n efa meel as ’n graanoffer voorsien, en ’n derde hin olie om op die fynmeel te sprinkel as ’n gereelde graanoffer aan Jehovah. Dit is ’n permanente wetsbepaling. **15** Hulle moet die ramlam, die graanoffer en die olie elke oggend as ’n gereelde heelbrandoffer voorsien.’

16 “Dit is wat die Soewerene Heer Jehovah sê: ‘As die hoofman ’n erfdeel aan elkeen van sy seuns as ’n geskenk gee, sal dit die eiendom van sy seuns word. Dit is hulle erfdeel. **17** Maar as hy uit sy erfdeel ’n geskenk aan een van sy knegte gee, sal dit syne wees tot die jaar van vrylating.^d Daarna sal dit weer aan die hoofman behoort. Net sy seuns se erfdeel sal permanent aan hulle behoort. **18** Die hoofman mag niks van die erfdeel van die volk neem deur hulle van hulle eiendom te beroof nie. Hy moet uit sy eie eiendom vir sy seuns ’n erfdeel gee, sodat niemand onder my volk van sy eiendom af weggedryf word nie.’”

19 Toe het hy my deur die ingang^e gebring wat langs die poort was wat gelei het na die priesters se heilige eetkamers,* wat noord kyk,^f en ek het ’n plek gesien aan die agterkant,

46:12 *Of “gemeenskapsoffers”.
46:19 *Of “vertrekke”.

HFST. 46

a Ese 45:17

b Ese 46:1, 2

c Eks 29:38
Nu 28:3, 5

d Le 25:10

e Ese 42:9

f Ese 42:1

Tweede kol.

a Le 2:4, 5

b Ese 44:19

c 2Kr 35:13

HFST. 47

d Ese 41:2

e Sag 13:1

Sag 14:8
Op 22:1

f Ese 40:20

g Ese 40:6
Ese 44:1, 2

h Ese 40:3
Op 21:15

wat wes kyk. **20** Hy het vir my gesê: “Dit is die plek waar die priesters die skuldoffer en die sonde-offer moet kook en waar hulle die graanoffer moet bak,^a sodat hulle niks na die buitenste voorhof dra en heiligheid aan die volk oordra nie.”^b

21 Hy het my na die buitenste voorhof geneem en my verby die vier hoeke van die voorhof gelei, en ek het ’n voorhof by elke hoek van die buitenste voorhof gesien. **22** By die vier hoeke van die voorhof was daar klein voorhove, 40 el* lank en 30 el breed. Al vier^c was ewe groot. **23** Daar was ’n rand* om elkeen van die vier voorhove, en onder die rande was kookplekke vir die offers gebou. **24** Toe het hy vir my gesê: “Dit is die huise waar die dienaars van die tempel die offerande van die volk kook.”^c

47 Toe het hy my teruggebring na die ingang van die tempel.^d Daar het ek water onder die drumpel van die tempel ooswaarts sien uitvloei,^e want die voorkant van die tempel het oos gekyk. Die water het afgevloei van onder die regterkant van die tempel af, suid van die altaar.

2 Toe het hy my uitgebring deur die poort aan die noordekant^f en my buite om geneem na die buitenste poort wat oos kyk,^g en ek het ’n straatjie water gesien wat uit die regterkant gevloei het.

3 Toe die man na die ooste uitgaan met ’n meetsnoer in sy hand,^h het hy 1000 el* gemeet en my deur die water laat gaan. Die water was tot by my enkels.

46:22; 47:3 *Verwys na die lang el. Sien Aanh. B14. **46:22** “Of “Al vier met hulle hoekbousels”. **46:23** *Of “rye”.

4 Toe het hy nog 1 000 el gemeet en my deur die water laat gaan, en die water was tot by my knieë.

Hy het nog 1 000 el gemeet en my toe laat deurgaen, en die water was tot by my heupe.

5 Toe hy nog 1 000 el gemeet het, was dit 'n rivier waardeur ek nie kon loop nie, want die water was so diep dat 'n mens moes swem. Dit was 'n rivier waardeur 'n mens nie kon loop nie.

6 Hy het vir my gevra: "Het jy dit gesien, mensekind?"

Hy het my na die oewer van die rivier laat terugloop. **7** Toe ek teruggegaan het, het ek gesien dat daar 'n baie groot aantal bome aan albei kante van die oewer van die rivier was.^a

8 Hy het toe vir my gesê: "Hierdie water vloei na die oostelike streek en gaan deur die A'ra-ba,^{*b} in die see in. Wanneer dit in die see ingaan,^c sal die water daarvan gesond gemaak word.

9 Oral waar die water* vloei, sal dit wemel van lewende wessens. Daar sal 'n oorvloed vis wees omdat die water daar sal vloei. Die seewater sal gesond gemaak word, en waar die rivier ook al gaan, sal alles lewe.

10 "Vissermanne sal langs die rivier staan, van En-Gedi^d af tot by En-Egla'im, waar daar 'n droogmaakplek vir sleepnet-te sal wees. Daar sal 'n oorvloed van baie soorte vis wees, soos die visse van die Grootsee.*^e

11 "Daar sal plekke wees wat soos moerasse en vleie is en wat nie gesond gemaak sal word nie. Dit sal aan sout oorgegee word.^f

12 "Allerhande bome vir voedsel sal op albei oewers van

HFST. 47

a Op 22:1, 2

b De 4:47, 49

c Sag 14:8

d Jos 15:20, 62
2Kr 20:2

e Nu 34:2, 6

f De 29:22, 23
Ps 107:33, 34
Jer 17:6

Tweede kol.

a Ese 47:1

b Op 22:1, 2

c Ge 48:5
1Kr 5:1
Ese 48:5

d Ge 26:3
Ge 28:13

e Ese 48:1

f Nu 34:2, 8

g Nu 13:21

h 2Sa 8:8

i Ese 47:18

j Nu 34:2, 9

k Ese 48:1

l Nu 32:1

m De 32:51

n Ese 48:28

die rivier groei. Hulle blare sal nie verlep nie, en hulle vrugte sal ook nie opraak nie. Hulle sal elke maand nuwe vrugte dra, want die water wat na hulle toe vloei, kom uit die heiligdom.^a Hulle vrugte sal as kos en hulle blare as genesing dien."^b

13 Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah sê: "Dit is die gebied wat julle as erfdeel moet toewys as die land vir die 12 stamme van Israel, en Josef sal twee dele hê.^c **14** Julle sal dit erf en gelyke dele kry.* Ek het gesweer om hierdie land aan julle voorvaders te gee,^d en nou is dit as 'n erfdeel aan julle toegewys.

15 "Dit is die grens van die land aan die noordekant: Dit strek van die Grootsee af langs die pad na Hetlon,^e in die rigting van Sedad,^f **16** Hamat,^g Bero'ta^h en Sibra'im, wat tussen die gebied van Damaskus en die gebied van Hamat is, na Ha'ser-Hat'tikon, wat by die grens van Hauranⁱ is. **17** Die grens van die see sal dus van Hasar-Enon^j wees, langs die grens van Damaskus na die noorde en na die grens van Hamat.^k Dit is die noordelike grens.

18 "Die grens aan die oostekant loop tussen Hauran en Damaskus en langs die Jordaanrivier tussen Gi'lead^l en die land van Israel. Julle moet van die grens af tot by die oostelike see* meet. Dit is die oostelike grens.

19 "Die suidelike grens* sal van Tamar af tot by die waters van Me'ribat-Ka'des^m loop, dan na die Valleïⁿ en die Grootsee.ⁿ Dit is die suidelike grens.*

47:14 *Lett. "dit erf, elkeen net soos sy broer". **47:18** *Lett. "Dooie See". **47:19** *Lett. "suidekant suidwaarts".

ⁿ D.w.s. die Wadi van Egipte.

47:8 *Of "woestynvlakte". **47:9** *Lett. "die twee strome". **47:10** *Die Middellandse See.

20 "Aan die westekant is die Grootsee, van die grens af tot by 'n punt oorkant Lebo-Hamat.*^a Dit is die westelike grens."

21 "Julle moet hierdie land onder julle verdeel, onder die 12 stamme van Israel. **22** Julle moet dit as erfdeel verdeel onder julle en die uitlanders wat by julle woon en wat kinders gehad het terwyl hulle onder julle gewoon het. Hulle sal vir julle soos gebore Israeliete word. Hulle sal saam met julle 'n erfdeel onder die stamme van Israel ontvang. **23** Julle moet vir die uitlander 'n erfdeel gee in die gebied van die stam waar hy gaan woon het," sê die Soewereine Heer Jehovah.

48 "Hier volg die name van die stamme, van die noordelike punt af: Dan se deel^b strek langs die weg van Hetlon tot by Lebo-Hamat*^c en Hasar-Enan, langs die grens van Damaskus, noordwaarts, langs Hamat,^d en dit strek van die oostelike grens tot by die westelike grens. **2** Aser se deel^e is aan die grens van Dan, van die oostelike grens af tot by die westelike grens. **3** Naf'tali se deel^f is aan die grens van Aser, van die oostelike grens af tot by die westelike grens. **4** Manas'se se deel^g is aan die grens van Naf'tali, van die oostelike grens af tot by die westelike grens. **5** E'fraim se deel is aan die grens van Manas'se,^h van die oostelike grens af tot by die westelike grens. **6** Ruben se deel is aan die grens van E'fraim,ⁱ van die oostelike grens af tot by die westelike grens. **7** Juda se deel is aan die grens van Ruben,^j van die ooste-

47:20; 48:1 *Of "die ingang van Hamat".

HFST. 47
a Nu 34:2, 8

HFST. 48
b Jos 19:40

c Nu 34:2, 8

d Ese 47:15-17

e Jos 19:24

f Jos 19:32

g Jos 13:29

h Jos 17:17, 18

i Jos 18:7

j Jos 15:1
Jos 19:9

Tweede kol.

a Ese 45:1

b Nu 35:2
Ese 45:3, 4

c Ese 40:46
Ese 44:15

d Jer 23:11
Ese 22:26

like grens af tot by die westelike grens. **8** Aan die grens van Juda, van die oostelike grens af tot by die westelike grens, moet die bydrae wat julle opsy sit, 25 000 el* breed wees,^a en die lengte moet ooreenstem met die ander stamdele van die oostelike grens af tot by die westelike grens. Die heiligdom moet in die middel daarvan wees.

9 "Die bydrae wat julle vir Jehovah opsy moet sit, moet 25 000 el lank en 10 000 el breed wees. **10** Dit sal die heilige bydrae vir die priesters wees.^b Dit sal 25 000 el aan die noordekant wees, 10 000 aan die westekant, 10 000 aan die oostekant en 25 000 aan die suidekant. Die heiligdom van Jehovah moet in die middel daarvan wees. **11** Dit moet wees vir die geheiligde priesters uit die seuns van Sadok,^c wat hulle verantwoordelikhede teenoor my nagekom het en wat nie afgedwaal het toe die Israeliete en die Leviete afgedwaal het nie.^d **12** Hulle moet 'n deel kry van die bydrae van die land wat as iets besonder heiligs opsygesit is, aan die grens van die Leviete.

13 "Reg langs die gebied van die priesters moet die Leviete 'n deel ontvang wat 25 000 el lank en 10 000 el breed is. (Die hele lengte sal 25 000 el wees, en die breedte 10 000 el.) **14** Hulle mag niks daarvan verkoop of verruil of enige deel van hierdie beste deel van die land aan iemand anders oordra nie, want dit is iets heiligs vir Jehovah.

15 "Die oorblywende gebied wat 5 000 el breed is en langs die grens van 25 000 el is, moet vir die stad se algemene gebruik

48:8 *Verwys na die lang el. Sien Aanh. B14.

wees,^a vir behuising en vir weivelde. Die stad sal in die middel daarvan wees.^b **16** Dit is die stad se afmetings: Die noordekant is 4 500 el, die suidekant is 4 500 el en die westekant is 4 500 el. **17** Die weiveld van die stad sal 250 el aan die noordekant wees, 250 el aan die suidekant, 250 el aan die oostekant en 250 el aan die westekant.

18 "Die lengte van die oorblywende deel moet met die heilige bydrae^c ooreenstem: 10 000 el aan die oostekant en 10 000 el aan die westekant. Dit moet met die heilige bydrae ooreenstem, en die opbrengs daarvan sal kos voorsien aan dié wat die stad dien. **19** Dié uit al die stamme van Israel wat die stad dien, sal dit bewerk.^d

20 "Die hele bydrae is 25 000 el by 25 000 el. Julle moet dit saam met die stadsbesitting opsysit as die heilige bydrae.

21 "Wat aan albei kante van die heilige bydrae en die stadsbesitting oorbly, sal aan die hoofman behoort.^e Dit moet langs die grense van 25 000 el wees wat oos en wes van die bydrae is. Dit moet ooreenstem met hierdie aangrensende dele, en dit sal vir die hoofman wees. Die heilige bydrae en die heilighdom van die tempel moet in die middel daarvan wees.

22 "Die besitting van die Leviëte en die stadsbesitting moet in die hoofman se gebied wees. Die hoofman se gebied moet tussen die grens van Juda^f en die grens van Benjamin wees.

23 "En wat die res van die stamme betref, Benjamin se deel is van die oostelike grens tot by die westelike grens.^g **24** Si'meon se deel is aan die grens van Benjamin,^h van die oostelike grens tot by die wes-

HFST. 48

a Ese 45:6

b Ese 48:35

c Ese 45:1

d Ese 45:6

e Ese 45:7

f Ese 48:8

g Jos 18:11

h Jos 19:1

Tweede kol.

a Jos 19:17

b Jos 19:10

c Ge 49:13

d Jos 18:7

e Ese 47:19

f Nu 20:13

g Ge 15:18

h Nu 34:2

i Ese 47:13

j Ese 48:16

k Jer 3:17
Jl 3:21
Sag 2:10

telike grens. **25** Is'saskar se deel^a is aan die grens van Si'meon, van die oostelike grens tot by die westelike grens. **26** Se'bulon se deel is aan die grens van Is'saskar,^b van die oostelike grens tot by die westelike grens.^c **27** Gad se deel is aan die grens van Se'bulon,^d van die oostelike grens tot by die westelike grens. **28** Die suidelike grens aan die grens van Gad sal strek van Tamar^e tot by die waters van Me'ribat-Ka'des,^f na die Valleï^{*g} en dan tot by die Grootsee.[#]

29 "Dit is die land wat julle as 'n erfdeel onder die stamme van Israel moet verdeel,^h en dit sal hulle dele wees,ⁱ sê die Soewereine Heer Jehovah.

30 "Die stad moet die volgende uitgange hê: Die noordekant moet 4 500 el wees.^j

31 "Die poorte van die stad moet na die stamme van Israel vernoem word. Daar sal drie poorte aan die noordekant wees: een poort vir Ruben, een poort vir Juda en een poort vir Levi.

32 "Die oostekant moet 4 500 el wees, en daar is drie poorte: een poort vir Josef, een poort vir Benjamin en een poort vir Dan.

33 "Die suidekant moet 4 500 el wees, met drie poorte: een poort vir Si'meon, een poort vir Is'saskar en een poort vir Se'bulon.

34 "Die westekant moet 4 500 el wees, met drie poorte: een poort vir Gad, een poort vir Aser en een poort vir Naftali.

35 "Die omtrek moet 18 000 el wees, en die naam van die stad sal van daardie dag af wees: Jehovah Is Daar.^k

48:28 *D.w.s. die Wadi van Egipte.
Die Middellandse See.

DANIËL

OORSIG

- Jerusalem deur Babiloniërs beleër (1, 2)
Spesiale opleiding vir jong koninklike gevangenes (3-5)
Vier Hebreërs se getrouheid getoets (6-21)
- Koning Nebukadnesar ontstel deur droom (1-4)
Geen wyse man kan sê wat hy gedroom het nie (5-13)
Daniël vra God vir hulp (14-18)
God geloof omdat Hy geheim geopenbaar het (19-23)
Daniël sê vir koning wat hy gedroom het (24-35)
Droom se betekenis (36-45)
Klip sal beeld vernietig (44, 45)
Koning bewys eer aan Daniël (46-49)
- Koning Nebukadnesar se goue beeld (1-7)
Beveel dat beeld aanbid word (4-6)
Drie Hebreërs beskuldig (8-18)
'Ons sal nie u gode dien nie' (18)
In brandende vuuroond gegooi (19-23)
Wonderdadig uit vuur gered (24-27)
Koning prys God van Hebreërs (28-30)
- Nebukadnesar erken God as koning (1-3)
Koning se droom oor boom (4-18)
Sewe tye (16)
God is Heerser oor mensdom (17)
Daniël verduidelik wat droom beteken (19-27)
Droom se eerste vervulling (28-36)
Koning sewe tye lank van sy verstand af (32, 33)
Koning verheerlik God van hemel (37)
- Koning Belsasar se feesmaal (1-4)
Skrif teen muur (5-12)
Daniël gevra om te verduidelik wat skrif beteken (13-25)
Verduideliking: Babilon sal val (26-31)
- Persiese amptenare beraam plan teen Daniël (1-9)
Daniël hou aan bid (10-15)
Daniël in leeuuil gegooi (16-24)
Koning Darius gee eer aan Daniël se God (25-28)
- Visioen van vier diere (1-8)
Klein horing wat spog (8)
Oue van Dae gaan sit as regter (9-14)
Seun van die mens koning gemaak (13, 14)
Betekenis aan Daniël bekend gemaak (15-28)
Vier diere is vier konings (17)
Heiliges sal koninkryk ontvang (18)
Tien horings, of konings, sal opstaan (24)
- Visioen van ram en bokram (1-14)
Klein horing tree hoogmoedig op (9-12)
2 300 aande en oggende (14)
Gabriël sê wat visioen beteken (15-27)
Wat ram en bokram voorstel (20, 21)
Koning met wrede voorkoms staan op (23-25)
- Daniël bely sondes in gebed (1-19)
Jerusalem sewentig jaar verlate (2)
Gabriël kom na Daniël toe (20-23)
Sewentig profetiese weke voorspel (24-27)
Messias sal ná 69 weke verskyn (25)
Messias sal doodgemaak word (26)
Stad en heilige plek sal vernietig word (26)
- Daniël deur boodskapper van God besoek (1-21)
Migaël help engel (13)
- Konings van Persië en Griekeland (1-4)
Koning van suide en van noorde (5-45)
Eiser sal opstaan (20)
Leier van verbond gebreek (22)
God van vestings vereer (38)
Stotery tussen koning van suide en koning van noorde (40)
Ontstellende berigte uit ooste en noorde (44)

12 “Tyd van die einde” en daarna (1-13)
Migaël sal opstaan (1)
Dié wat insig het, sal helder
skyn (3)

“Ware kennis sal oorvloedig
word” (4)
Daniël sal opstaan om sy deel
te ontvang (13)

1 In die derde regeringsjaar van koning Joja'kim^a van Juda het koning Nebukadne'sar van Babilon teen Jerusalem opgetrek en dit beleër.^b **2** En Jehovah het koning Joja'kim van Juda in sy hand gegee,^c sowel as party van die voorwerpe van die huis* van die ware God. Hy het dit na die land Si'neer^d gebring, na die tempel van sy god. En hy het die voorwerpe in die skatkamer van sy god gesit.^e

3 Toe het die koning sy hoofhofbeampte, As'penas, beveel om van die jong Israeliete te bring, veral dié uit die koninklike familie en uit ander belangrike families.^f **4** Die jongmense moes aantreklik en sonder enige gebrek wees. Hulle moes wysheid, kennis en insig hê^g en in staat wees om in die paleis van die koning te dien. Hy moes hulle die skrif en die taal van die Galdeërs leer. **5** En die koning het beveel dat daar vir hulle 'n daaglikse porsie van die koning se kos en wyn gegee moet word. Hulle moes drie jaar lank opgelei* word, en daarna sou hulle in die diens van die koning aangestel word.

6 En onder hulle was daar sommige uit die stam van Juda: Daniël,^h Hanan'ja,ⁱ Mi'sael^a en Asar'ja.^{bi} **7** En die hoofhofbe-

1:2 *Of “tempel”. ^aD.w.s. Babilonië.
1:5 *Of moontlik “gevoed”. 1:6 *Bete-
teken “God is my Regter”. ^bBete-
ken “Jehovah was genadig”. ^aBete-
ken moontlik “wie is soos God?” ^{bi}Bete-
ken “Jehovah het gehelp”.

HFST. 1

a 2Kr 36:4
Jer 22:18, 19
Jer 36:30

b De 28:49, 50
2Kn 24:1
2Kr 36:5, 6

c Jes 42:24

d Ge 10:9, 10

e 2Kr 36:7
Esr 1:7

f 2Kn 20:16, 18

g Da 1:17, 20
Da 5:11, 12

h Da 2:48
Da 5:13, 29

i Da 2:17, 18

Tweede kol.

a Da 4:8
Da 5:12

b Da 2:49
Da 3:12, 28

c 1Kn 8:49, 50
Ps 106:44, 46

ampte het vir hulle ander name* gegee. Hy het vir Daniël die naam Belt'sasar^a gegee, vir Hanan'ja die naam Sadrag, vir Mi'sael die naam Mesag en vir Asar'ja die naam Abedne'go.^b

8 Maar Daniël het in sy hart besluit om rein te bly en nie van die kos en die wyn van die koning te eet en te drink nie. Daarom het hy die hoofhofbeampte vir toestemming gevra om nie die dinge te eet wat hom onrein sou maak nie. **9** En die ware God het die hoofhofbeampte beweeg om goedheid en genade aan Daniël te betoon.^c **10** Maar die hoofhofbeampte het vir Daniël gesê: “Ek is bang vir my heer die koning, want hy het gesê wat julle moet eet en drink. Sê nou hy sien dat julle nie so goed lyk soos die ander jongmense van julle ouderdom nie? Dan sal ek in die moeilikheid wees by die koning.”

11 Maar Daniël het vir die amptenaar wat deur die hoofhofbeampte oor Daniël, Hanan'ja, Mi'sael en Asar'ja aangestel is, gesê: **12** “Gee u knegte asseblief tien dae kans. Laat hulle vir ons groente gee om te eet en water om te drink. **13** Vergeelyk dan hoe ons lyk met hoe die ander jongmense lyk wat die koning se kos eet, en besluit dan wat met u knegte gedoen moet word.”

14 Hy het toe ingestem dat hulle dit tien dae lank kan probeer. **15** Nā die tien dae het

1:7 *D.w.s. Babiloniese name.

hulle beter en gesonder gelyk as al die jongmense wat die koning se kos geëet het. **16** Die amptenaar het dus aangehou om vir hulle groente te gee in plaas van die koning se kos en wyn. **17** En die ware God het aan hierdie vier jongmense kennis en wysheid gegee, asook insig in alles wat geskryf is. En Daniël is die vermoë gegee om allerhande visioene en drome te verstaan.^a

18 Aan die einde van die tydperk wat die koning vasgestel het,^b het die hoofbeampte hulle voor Nebukadne'sar ingebring. **19** Die koning het toe met hulle gepraat, en daar was niemand in die hele groep soos Daniël, Hanan'ja, Mi'sael en Asar'ja nie.^c En hulle is in die diens van die koning aangestel. **20** Elke keer wanneer die koning hulle gevra het oor 'n saak wat wysheid en insig vereis het, het hy gesien dat hulle tien keer beter is as al die towerpriesters en die towenaars*^d in sy hele koninkryk. **21** En Daniël het tot die eerste jaar van koning Kores^e daar gebly.

2 In Nebukadne'sar se tweede regeringsjaar het hy drome gehad wat hom so ontstel het^f dat hy nie kon slaap nie. **2** Daarom het die koning beveel dat die towerpriesters, die waarsêers, die towenaars en die Galdeërs* geroep moet word om vir hom te vertel wat hy gedroom het. En hulle het ingekom en voor die koning gaan staan.^g **3** Toe het die koning vir hulle gesê: "Ek het 'n droom gehad, en ek is ontsteld, want ek wil weet wat ek gedroom het." **4** Die Galdeërs het die

1:20 *Of "besweerders". 2:2 *D.w.s. 'n groep waarsêers en sterrevoorspelers.

HFST. 1

a Da 1:20
Da 4:9
Da 5:11, 12

b Da 1:5

c Da 1:3, 6

d Da 2:2
Da 4:7
Da 5:8

e Da 6:28
Da 10:1

HFST. 2

f Da 4:4, 5

g Da 4:6, 7
Da 5:7, 8

Tweede kol.

a 2Kn 18:26
Esr 4:7
Jes 36:11

b Da 2:48
Da 5:16, 29

koning in die Aramese taal* geantwoord:^a "O koning, mag u vir ewig lewe. Vertel vir u knegte wat u gedroom het, en ons sal vir u sê wat dit beteken."

5 Die koning het die Galdeërs geantwoord: "Ek het klaar besluit: As julle nie vir my sê wat ek gedroom het en wat die droom beteken nie, sal julle in stukke gekap word, en julle huise sal in openbare toilette* verander word. **6** Maar as julle vir my sê wat ek gedroom het en wat die droom beteken, sal ek vir julle geskenke en 'n beloning en groot eer gee.^b Sê dus vir my wat ek gedroom het en wat die droom beteken."

7 Hulle het 'n tweede keer geantwoord: "Laat die koning vir sy knegte vertel wat hy gedroom het, en ons sal vir u sê wat die droom beteken."

8 Die koning het geantwoord: "Ek weet goed dat julle tyd probeer wen, want julle weet wat ek besluit het. **9** As julle nie vir my sê wat ek gedroom het nie, sal julle almal dieselfde straf kry. Maar julle het ooreengekom om my met leuens om die bos te lei in die hoop dat ek van plan sal verander. Sê dus vir my wat ek gedroom het, en ek sal weet dat julle kan verduidelik wat die droom beteken."

10 Die Galdeërs het die koning geantwoord: "Daar is nie 'n mens op die aarde wat kan doen wat die koning beveel nie, want geen groot koning of goewerneur het al ooit so iets van enige towerpriester of waarsêer of Galdeër gevra nie. **11** Wat die koning vra, is moeilik, en daar is niemand wat dit aan die koning

2:4 *Da 2:4b tot 7:28 is oorspronklik in Aramees geskryf. 2:5 *Of moontlik "vullishope; mishope".

kan openbaar nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder blote mense nie.”

12 Toe die koning dit hoor, het hy briesend kwaad geword en beveel dat al die wyse manne van Babilon doodgemaak word.^a **13** Toe die bevel gegee is om die wyse manne dood te maak, het hulle Daniël en sy vriende ook gaan soek om hulle dood te maak.

14 A'riog, die hoof van die koning se lyfwag, het uitgegaan om die wyse manne van Babilon dood te maak. Toe het Daniël op 'n versigtige en taktvolle manier met hom gaan praat. **15** Hy het vir A'riog, die beampete van die koning, gevra: “Hoe kom het die koning so 'n wrede bevel gegee?” Toe het A'riog vir Daniël vertel wat gebeur het.^b **16** Daniël het toe na die koning gegaan en hom gevra om hom tyd te gee sodat hy vir die koning kon sê wat die droom beteken.

17 Daarna het Daniël na sy huis gegaan en vir sy vriende Hanan'ja, Mí'sael en Asar'ja van die saak vertel. **18** Hy het hulle gevra om die God van die hemel om genade te smee en te vra dat Hy die geheim moet openbaar, sodat Daniël en sy vriende nie saam met die res van die wyse manne van Babilon doodgemaak sou word nie.

19 Toe is die geheim in die nag in 'n visioen aan Daniël geopenbaar.^c Daarom het Daniël die God van die hemel geloof. **20** Daniël het gesê:

“Laat die naam van God tot in alle ewigheid geloof word, want hy alleen het wysheid en mag.^d

21 Hy verander tye en tydperke,^e

HFST. 2

a Da 2:24

b Da 2:9

c Da 2:28

d 1Kr 29:11
Job 12:13
Ps 147:5
Jer 32:17-19

e Han 1:7

Tweede kol.

a 1Sa 2:7, 8
Ps 75:7
Jer 27:5
Da 4:17

b Spr 2:6
Pr 2:26
Jak 1:5

c Jer 33:3
1Kor 2:10

d Ps 139:12
Heb 4:13

e Ps 36:9
Ps 112:4

f Da 1:17
Da 2:28

g Da 2:12, 14

h Da 1:3, 6

i Da 1:7

j Ge 41:15

k Da 2:10, 11

verwyder konings en stel konings aan,^a gee wysheid aan die wyses en kennis aan dié wat insig het.^b

22 Hy openbaar die diep dinge en die geheime dinge.^c

Hy weet wat in die duisternis is,^d en die lig woon by hom.^e

23 Ek dank en loof u, o God van my voorvaders, want u het vir my wysheid en mag gegee.

En nou het u aan my bekend gemaak wat ons u gevra het.

U het aan ons bekend gemaak wat die koning wil weet.^f

24 Toe het Daniël na A'riog gegaan, wat deur die koning aangestel is om die wyse manne van Babilon dood te maak,^g en hy het vir hom gesê: “Moenie een van die wyse manne van Babilon doodmaak nie. Neem my na die koning toe, en ek sal vir die koning sê wat die droom beteken.”

25 A'riog het Daniël dadelik na die koning toe geneem en vir hom gesê: “Ek het 'n man onder die ballinge* van Juda^h gevind wat vir die koning kan sê wat die droom beteken.”

26 Die koning het vir Daniël, wat die naam Belt'sasarⁱ ontvang het, gevra: “Kan jy regtig vir my sê wat ek gedroom het en wat die droom beteken?”^j

27 Daniël het die koning geantwoord: “Nie een van die wyse manne, waarsêers, towerpriesters of sterrevoorspellers kan die geheim waaroor die koning vra aan hom openbaar nie.^k

28 Maar daar is 'n God in die hemel wat 'n Openbaarder van

2:25 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

geheime is,^a en hy het aan koning Nebukadne'sar bekend gemaak wat aan die einde van die dae gaan gebeur. Dit is u droom, en dit is die visioene wat u gesien het terwyl u op u bed geleë het:

29 "Op u bed, o koning, het u gedroom van wat in die toekoms gaan gebeur, en die Openbaarder van geheime het aan u bekend gemaak wat gaan gebeur. **30** Hierdie geheim is nie aan my geopenbaar omdat ek meer wysheid het as enigiemand anders nie, maar sodat die betekenis van die droom aan die koning bekend gemaak kan word en sodat u kan weet wat u gedroom het.^b

31 "U, o koning, het 'n groot beeld* gesien. Die beeld was ontsaglik groot en het baie geklink. Dit het voor u gestaan, en dit was skrikwekkend. **32** Die kop van die beeld was van suiver goud,^c sy bors en sy arms was van silwer,^d sy maag en sy bobene was van koper,^e **33** sy bene was van yster,^f en sy voete was gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.^g **34** Terwyl u gekyk het, is 'n klip uit 'n berg uitgekap, maar nie deur mensehande nie, en dit het die beeld op sy voete van yster en van klei getref en hulle verpletter.^h **35** Toe is die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud alles saam verpletter, en dit het soos kaf op die dorsvloer in die somer geword, en die wind het dit weggewaai sodat geen spoor daarvan gevind kon word nie. Maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot berg geword, en dit het die hele aarde gevul.

36 "Dit is die droom, en ons sal nou vir die koning sê wat dit

2:31 *Of "standbeeld". 2:33 *Of "gebakte (gevormde) klei".

HFST. 2

a Ge 40:8
Da 1:17

b Da 2:47

c Da 2:37, 38
Da 7:4

d Da 5:28
Da 7:5
Da 8:3, 20

e Da 2:39
Da 7:6
Da 8:5, 21

f Da 7:7, 19

g Da 2:40-42

h Da 2:44, 45

Tweede kol.

a Jer 28:14
Da 5:18

b Jer 27:5-7

c Da 2:32
Da 4:20-22

d Jes 45:1
Jer 51:28, 29
Da 5:28

e Da 7:6
Da 8:5, 21
Da 11:3

f Da 2:33
Da 7:19, 23

g Da 7:7

h Ge 49:10
Ps 2:6
Mt 6:10
Lu 22:29
Joh 18:36
Op 11:15
Op 20:6

i 2Sa 7:13
Jes 9:7
Da 7:13, 14

j Da 4:17
Da 7:27

beteken. **37** U, o koning – die koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koninkryk,^a die mag, die sterkte en die heerlikheid gegee het, **38** en in wie se hand hy mense gegee het, waar hulle ook al woon, sowel as die diere van die veld en die voëls van die hemel, en wat hy as heerser oor hulle almal aangestel het^b – u is die kop van goud.^c

39 "Maar ná u sal daar 'n ander koninkryk wees,^d wat nie so belangrik soos u sal wees nie, en daarna nog 'n koninkryk, 'n derde, van koper, wat oor die hele aarde sal regeer.^e

40 "En die vierde koninkryk sal so sterk soos yster wees.^f Want net soos yster alles stukkend breek en vernietig, ja, soos yster wat verpletter, sal dit al die ander stukkend breek en verpletter.^g

41 "En die feit dat die voete en die tone wat u gesien het gedeeltelik van klei en gedeeltelik van yster was, beteken dat die koninkryk verdeel sal wees. Maar daar sal van die hardheid van yster daarin wees, want soos u gesien het, was daar yster tussen die sagte klei. **42** En net soos die tone van die voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei was, so sal die koninkryk gedeeltelik sterk en gedeeltelik swak wees. **43** En die feit dat u yster gesien het wat met sagte klei gemeng was, beteken dat hulle met die gewone mense gemeng sal wees, maar hulle sal nie aan mekaar kleef nie, net soos yster en klei nie meng nie.

44 "In die dae van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig^h wat nooit vernietig sal word nie.ⁱ En hierdie koninkryk sal nie aan 'n ander volk oorgedra word nie.^j

Dit sal al daardie koninkryke vernietig en 'n einde aan hulle maak,^a en dit alleen sal vir ewig bestaan.^b **45** Dit sal wees net soos u gesien het: Die klip wat uit die berg gekap is, maar nie deur mensehande nie, het die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verpletter.^c Die Groot God het aan die koning bekend gemaak wat in die toekoms sal gebeur.^d Die droom is waar, en die betekenis daarvan is betroubaar.”

46 Toe het koning Nebukadne'sar op sy knieë voor Daniël neergeval en aan hom eer bewys. En hy het beveel dat 'n geskenk vir hom gegee moet word en dat reukwerk vir hom gebrand moet word. **47** Die koning het vir Daniël gesê: “Julle God is beslis God van die gode en Here van die konings en 'n Openbaarder van geheime, want jy het dit reggekry om hierdie geheim te openbaar.”^e

48 Die koning het Daniël toe 'n belangrike man gemaak en vir hom baie, waardevolle geskenke gegee, en hy het hom die heerser oor die hele Babilon-provinsie^f en die hoofprefek oor al die wyse manne van Babilon gemaak. **49** En op Daniël se versoek het die koning Sadrag, Mesag en Abedne'go^g oor die administrasie van die Babilon-provinsie aangestel, maar Daniël het in die koning se paleis gedien.

3 Koning Nebukadne'sar het 'n goue beeld* gemaak wat 60 el* hoog en 6 el^Δ breed was. Hy het dit in die Dura-vlakte in die Babilon-provinsie opgerig. **2** Toe het koning Nebukadne'sar beveel dat die satrape, prefekte, goewerneurs,

HFST. 2

a Ps 2:7-9
Ps 110:5, 6
Op 19:15

b Da 4:34
Lu 1:31-33

c Da 2:34, 35

d Ge 41:28
Da 2:28

e Ge 41:39
Da 1:17
Da 2:28
Da 4:9

f Da 2:6
Da 5:16, 29

g Da 1:7

Tweede kol.

HFST. 3

a Jer 29:22

raadgewers, skatmeesters, regters, magistrats en al die administrateurs van die provinsies bymekaargeroep moet word vir die inwyding van die beeld wat koning Nebukadne'sar opgerig het.

3 Toe het die satrape, prefekte, goewerneurs, raadgewers, skatmeesters, regters, magistrats en al die administrateurs van die provinsies bymekaargekom vir die inwyding van die beeld wat koning Nebukadne'sar opgerig het. En hulle het voor die beeld gestaan wat Nebukadne'sar opgerig het. **4** Die aankondiger het hard uitgeroep: “O volke, nasies en taalgroepe, luister na hierdie bevel: **5** Sodra julle die geluid van die horing, fluit, siter, harp, lier, doedelsak en al die ander musiekinstrumente hoor, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadne'sar opgerig het. **6** Elkeen wat nie neerval en aanbid nie, sal onmiddellik in die brandende vuurood gegooi word.”^a

7 Toe al die volke, nasies en taalgroepe die geluid van die horing, fluit, siter, harp, lier en al die ander musiekinstrumente hoor, het hulle almal dus neergeval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadne'sar opgerig het.

8 Toe het party van die Galdeërs na die koning gegaan en die Jode beskuldig. **9** Hulle het vir koning Nebukadne'sar gesê: “O koning, mag u vir ewig lewe. **10** U, o koning, het die bevel gegee dat almal wat die geluid van die horing, fluit, siter, harp, lier, doedelsak en al die ander musiekinstrumente hoor, moet neerval en die goue beeld moet aanbid **11** en dat elkeen wat nie neerval en aanbid nie, in die brandende

3:1 *Of “standbeeld”. ^ΔOmtrent 27 m. Sien Aanh. B14. ^ΔOmtrent 2,7 m. Sien Aanh. B14.

vuuroond gegooi moet word.^a **12** Maar daar is sekere Jode wat u oor die administrasie van die Babilon-provinsie aangestel het: Sadrag, Mesag en Abedne'go.^b Hierdie manne het hulle nie aan u gesteur nie, o koning. Hulle dien nie u gode nie, en hulle weier om die goue beeld wat u opgerig het, te aanbid."

13 Toe het Nebukadne'sar woedend geword en beveel dat Sadrag, Mesag en Abedne'go na hom toe gebring moet word. Hierdie manne is dus voor die koning gebring. **14** Nebukadne'sar het vir hulle gesê: "Sadrag, Mesag en Abedne'go, is dit werklik so dat julle nie my gode dien nie^c en dat julle weier om die goue beeld wat ek opgerig het, te aanbid? **15** As julle dan nou bereid is om neer te val en die beeld wat ek gemaak het, te aanbid wanneer julle die geluid van die horing, die fluit, die siter, die harp, die lier, die doedelsak en al die ander musiekinstrumente hoor, dan is alles reg. Maar as julle weier om te aanbid, sal julle onmiddellik in die brandende vuuroond gegooi word. En wie is die god wat julle uit my hand kan red?"^d

16 Sadrag, Mesag en Abedne'go het die koning geantwoord: "O Nebukadne'sar, dit is nie eers vir ons nodig om u te antwoord nie. **17** As dit gebeur, kan ons God wat ons dien, ons uit die brandende vuuroond en uit u hand red, o koning.^e **18** Maar selfs as hy dit nie doen nie, moet u weet, o koning, dat ons nie u gode sal dien of die goue beeld sal aanbid wat u opgerig het nie."^f

19 Toe het Nebukadne'sar so kwaad geword vir Sadrag, Mesag en Abedne'go dat sy gesindheid* teenoor hulle veran-

HFST. 3

a Da 3:4-6

b Da 1:7
Da 2:49c Jes 46:1
Jer 50:2
Da 2:47d Eks 5:2
2Kr 32:15
Jes 36:4, 20e 1Sa 17:37
Ps 27:1
Jes 12:2
Da 6:27f Eks 20:5
Han 5:29

Tweede kol.

a Da 2:47

b Da 3:2

c Heb 11:33, 34

der het. En hy het beveel dat die oond sewe keer warmer as gewoonlik gemaak moet word. **20** Hy het van die sterk manne in sy leërmag beveel om Sadrag, Mesag en Abedne'go vas te bind en hulle in die brandende vuuroond te gooi.

21 Toe is hierdie manne vasgebind en met klere en al, met hulle mantels, tulbande en al hulle ander klere aan, in die brandende vuuroond gegooi. **22** Omdat die koning se bevel so streng was en die oond buitengewoon warm gemaak is, is die manne wat Sadrag, Mesag en Abedne'go na die oond geneem het, deur die vlamme van die vuur doodgebrand. **23** En hierdie drie manne, Sadrag, Mesag en Abedne'go, wat vasgebind was, het in die brandende vuuroond geval.

24 Koning Nebukadne'sar het toe bang geword en dadelik opgestaan en vir sy hoë amptenare gevra: "Het ons nie drie manne vasgebind en in die vuur gegooi nie?" Hulle het die koning geantwoord: "Ja, o koning." **25** Hy het gesê: "Kyk! Ek sien vier manne in die vuur rondloop. Hulle is nie vasgebind nie en hulle makeer niks nie. En die vierde man lyk soos 'n seun van die gode."

26 Nebukadne'sar het nader aan die deur van die brandende vuuroond gegaan en gesê: "Sadrag, Mesag en Abedne'go, knegte van die allerhoogste God,^a kom uit en kom hier na my toe!" Toe het Sadrag, Mesag en Abedne'go uit die vuur uitgeklim. **27** En die satrape, prefekte, goewerneurs en die hoë amptenare van die koning wat daar bymekaar was,^b het gesien dat die vuur niks aan hierdie manne gedoen het nie.^c Nie eers 'n haar op hulle kop was

3:19 *Lett. "sy gesigsuitdrukking".

geskroei nie, hulle mantels het nog dieselfde gelyk en hulle het nie eers na vuur geruik nie.

28 Nebukadne'sar het toe gesê: "Mag die God van Sadrag, Mesag en Abedne'go geloof word,^a wat sy engel gestuur en sy knegte gered het. Hulle het op hom vertrou en het geweier om die koning se bevel te gehoorsaam. Hulle was bereid om te sterf eerder as om enige ander god as hulle eie God te dien en te aanbid.^b **29** Ek beveel dus dat enige volk, nasie of taalgroep wat enigiets teen die God van Sadrag, Mesag en Abedne'go sê, in stukke gekap moet word, en hulle huise moet in openbare toilette* verander word, want daar is geen ander god wat kan red soos dié een nie."^c

30 Die koning het Sadrag, Mesag en Abedne'go toe hoër posisies gegee* in die Babilonprovincie.^d

4 "Hier volg 'n boodskap van koning Nebukadne'sar aan al die volke, nasies en taalgroepe op die hele aarde: Mag julle groot vrede hê! **2** Ek wil graag die tekens en wonders aan julle bekend maak wat die allerhoogste God vir my gedoen het. **3** Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig is sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy duur van geslag tot geslag.^e

4 "Ek, Nebukadne'sar, was rustig in my huis en het voorspoed geniet in my paleis. **5** Ek het 'n droom gehad wat my bang gemaak het. Terwyl ek op my bed gelê het, het ek dinge en visioene gesien wat my baie bang gemaak het.^f **6** Daarom

3:29 *Of moontlik "vullishope; mis-hope". **3:30** *Lett. "voorspoedig laat word".

HFST. 3

a Da 2:47
Da 4:34

b Da 3:15

c Da 4:35
Da 6:26, 27

d Da 2:49

HFST. 4

e Ps 10:16
Ps 90:2
Jer 10:10

f Da 2:1

Tweede kol.

a Da 2:2

b Jes 47:13

c Da 2:10, 11

d Da 1:7

e Jes 46:1
Jer 50:2f Da 4:18
Da 5:11, 12g Da 1:20
Da 2:48h Ge 41:38
Da 6:3

i Da 1:17, 20

j Da 4:26

k Da 4:20-22

l Da 4:23-26

het ek beveel dat al die wyse manne van Babilon na my toe gebring moet word, sodat hulle vir my kan sê wat die droom beteken.^a

7 "Toe het die towerpriesters, die waarsêers, die Galdeërs* en die sterrevoorspelers^b na my toe gekom. Ek het vir hulle vertel wat ek gedroom het, maar hulle kon nie vir my sê wat dit beteken nie.^c **8** Uiteindelik het Daniël na my toe gekom. Hy het die naam Belt'sasar^d ontvang omdat hy na my god vernoem is,^e en die gees van die heilige gode is in hom.^f Ek het vir hom vertel wat ek gedroom het:

9 "O Belt'sasar, hoof van die towerpriesters.^g Ek weet goed dat die gees van die heilige gode in jou is^h en dat geen geheim te moeilik is vir jou nie.ⁱ Sê dus vir my wat die visioene beteken wat ek in my droom gesien het.

10 "In die visioene wat ek gesien het terwyl ek op my bed gelê het, het ek in die middel van die aarde 'n boom^j gesien wat baie hoog was.^k **11** Die boom het groot en sterk geword, en sy top het tot by die hemel gekom, en die boom kon tot aan die eindes van die hele aarde gesien word. **12** Sy blare was mooi en sy vrugte was baie, en daar was kos vir almal daaraan. Die diere van die veld het onder die boom skaduwee gesoek, die voëls van die hemel het op sy takke gewoon en alles wat lewe,* het daarvan geëet.

13 "In die visioene wat ek gesien het terwyl ek op my bed gelê het, het ek 'n wag gesien, 'n heilige, wat uit die hemel neerdaal.^l **14** Hy het hard uitge-

4:7 *D.w.s. 'n groep waarsêers en sterrevoorspelers. **4:12** *Lett. "alle vlees".

roep: "Kap die boom af,^a kap sy takke af, skud sy blare af en verstrooi sy vrugte! Laat die diere wat onder die boom is en die voëls wat op sy takke is, wegvlug. **15** Maar laat die stomp met sy wortels in die grond bly, tussen die gras van die veld, met 'n band van yster en van koper om die stomp. Laat die dou van die hemel dit natmaak, en laat sy deel saam met die diere tussen die plante van die aarde wees.^b **16** Laat sy hart anders word as dié van 'n mens, en laat die hart van 'n dier aan hom gegee word, en laat dit sewe tye lank so wees.^c **17** Dit is volgens die bevel van die wagte,^d en dit is volgens die versoek van die heiliges, sodat die lewendes kan weet dat die Allerhoogste die Heerser in die koninkryk van die mensdom is^e en dat hy dit gee aan wie hy ook al wil en selfs die laagste van die mensdom daarvoor aanstel."

18 "Dit was die droom wat ek, koning Nebukadne'sar, gehad het. O Belt'sasar, vertel my nou wat dit beteken, want nie een van die ander wyse manne van my koninkryk kan vir my sê wat dit beteken nie.^f Maar jy kan, want die gees van die heilige gode is in jou."

19 "Toe was Daniël, wat die naam Belt'sasar^g ontvang het, vir 'n oomblik geskok, en sy gedagtes het hom begin bang maak.

"Die koning het gesê: 'Belt'sasar, moenie toelaat dat die droom en wat dit beteken, jou bang maak nie.'

"Belt'sasar het geantwoord: 'O my heer, mag die droom van toepassing wees op dié wat u haat, en die betekenis daarvan op u vyande.

20 "Die boom wat u gesien het, wat groot en sterk geword

HFST. 4

a Da 4:31
Da 5:18, 20

b Da 4:32, 33

c Da 4:32
Lu 21:24

d Da 4:13

e Da 4:34

f Jes 47:13
Da 2:27
Da 5:8, 15

g Da 1:7

Tweede kol.

a Da 4:10, 11

b Da 4:12

c Jes 14:13, 14

d Da 2:37, 38

e Da 4:13
Da 8:13f Da 4:13-16
Lu 21:24

g Da 4:31-33

h Da 4:16
Lu 21:24
Op 12:6, 14i 1Sa 2:7, 8
Job 34:24
Jer 27:5
Ese 21:26, 27
Da 2:21
Da 7:13, 14
Lu 1:32, 33

j Da 4:15

het, waarvan die top tot by die hemel gekom het en wat oral op die aarde gesien kon word,^a **21** wat mooi blare en baie vrugte gehad het, sowel as kos vir almal, en waaronder die diere van die veld gewoon het, en op wie se takke die voëls van die hemel gebly het,^b **22** dit is u, o koning, want u het groot en sterk geword, en u heerlikheid het al hoe groter geword en tot by die hemel gekom,^c en u koningskap het tot aan die eindes van die aarde uitgebrei.^d

23 "En die koning het 'n wag, 'n heilige,^e uit die hemel sien neerdaal, wat gesê het: "Kap die boom af en vernietig dit, maar laat die stomp met sy wortels in die grond bly, tussen die gras van die veld, met 'n band van yster en van koper om die stomp. En laat dit deur die dou van die hemel natgemaak word, en laat sy deel saam met die diere van die veld wees, tot dat sewe tye verbygegaan het."^f

24 Dit is wat die droom beteken, o koning. Dit is wat die Allerhoogste besluit het met my heer die koning sal gebeur: **25** U sal van mense af weggejaag word en tussen die diere van die veld woon, en u sal gras eet soos 'n bees, en die dou van die hemel sal u natmaak,^g en dit sal sewe tye lank so wees.^h Daarna sal u weet dat die Allerhoogste die Heerser in die koninkryk van die mensdom is en dat hy dit gee aan wie hy ook al wil.ⁱ

26 "Maar die feit dat daar gesê is dat die stomp van die boom met sy wortels moet bly staan,^j beteken dat u koninkryk weer aan u sal behoort nadat u besef het dat die hemel regeer. **27** Aanvaar dus my raad, asseblief, o koning. Draai weg van u sondes deur te doen wat reg

is, en van u ongeregtigheid deur genade aan die armes te betoon. Miskien sal u voorspoed dan langer hou.”^a

28 Dit alles het oor koning Nebukadne’sar gekom.

29 Twaalf maande later het hy op die dak van die paleis in Babilon rondgeloop. **30** Die koning het gesê: “Is dit nie Babilon die Grote wat ek vir die koninklike huis gebou het met my eie krag en mag en vir die heerlikheid van my majesteit nie?”

31 Terwyl die koning nog gepraat het, het daar ’n stem uit die hemel gekom: “Vir jou word daar gesê, o koning Nebukadne’sar: ‘Die koninkryk word van jou weggeneem,^b **32** en jy word van mense af weggejaag. Jy sal tussen die diere van die veld woon, en jy sal gras eet net soos ’n bees, en dit sal sewe tye lank so wees. Daarna sal jy weet dat die Allerhoogste die Heerser in die koninkryk van die mensdom is en dat hy dit gee aan wie hy ook al wil.”^c

33 Op daardie oomblik het dit met Nebukadne’sar gebeur. Hy is van mense af weggejaag, en hy het gras begin eet net soos ’n bees, en sy liggaam is deur die dou van die hemel natgemaak, totdat sy hare lank geword het net soos die vere van ’n arend en totdat sy naels soos die kloue van voëls was.^d

34 “Aan die einde van daardie tydperk^e het ek, Nebukadne’sar, na die hemel opgekyk, en ek het my verstand teruggekry. Ek het die Allerhoogste geloof, en ek het die Een wat vir ewig lewe, geprys en verheerlik, want sy heerskappy is ’n ewige heerskappy en sy koninkryk duur van geslag tot geslag.^f

35 In vergelyking met hom is al die bewoners van die aarde soos niks, en hy doen wat hy wil met

HFST. 4

a 1Kn 21:29
Jl 2:14
Jon 3:8-10

b Da 4:25
Han 12:22, 23

c Da 4:17

d Da 4:25

e Da 4:16

f Ps 10:16
Da 4:3

Tweede kol.

a Job 34:24
Jes 43:13

b Jes 45:9

c Da 4:26

d Da 4:2, 3

e De 32:4
Ps 33:5

f Eks 18:10, 11
Jak 4:6

HFST. 5

g Da 7:1
Da 8:1

h Jes 21:5
Jer 51:39

i 2Kn 25:15
2Kr 36:18
Esr 1:7
Jer 52:19
Da 1:1, 2

die leërmag van die hemel en die bewoners van die aarde. En daar is niemand wat hom kan keer^a of wat vir hom kan sê: ‘Wat het u gedoen?’ nie.^b

36 “Toe het ek my verstand teruggekry, en ook die heerlikheid van my koninkryk, my majesteit en my glorie.^c My hoë amptenare en belangrike manne het my raad gretig gesoek, en ek is weer oor my koninkryk aangestel, en ek het selfs meer eer as voorheen gehad.

37 “Ek, Nebukadnesar, loof en eer en verheerlik nou die Koning van die hemel,^d want al sy werke is waarheid en sy weë is geregtigheid,^e en hy kan dié wat trots is, verneder.”^f

5 Koning Bel’sasar^g het ’n groot feesmaal vir 1 000 van sy belangrike manne gehou, en hy het saam met hulle wyn gedrink.^h **2** Toe Bel’sasar onder die invloed van die wyn was, het hy beveel dat die goue en silwerhouers ingebring moet word wat sy vader Nebukadne’sar uit die tempel in Jerusalem geneem het,ⁱ sodat die koning en sy belangrike manne, sy byvrouens en sy ondergeskikte vrouens daaruit kon drink. **3** En hulle het die goue houers ingebring wat uit die tempel van die huis van God in Jerusalem geneem is, en die koning, sy belangrike manne en sy vrouens het daaruit gedrink. **4** Hulle het wyn gedrink, en hulle het die gode van goud en silwer, van koper, yster, hout en klip geloof.

5 Op daardie oomblik het die vingers van ’n mensehand verskyn en oorkant die lampstaander op die pleister van die muur van die koning se paleis begin skryf, en die koning het die hand gesien terwyl dit skryf. **6** Toe het die koning bleek geword, en hy het baie bang ge-

word. Sy bene het lam geword^a en sy knieë het teen mekaar geslaan.

7 Die koning het hard uitge-roep dat die waarsêers, die Galdeërs* en die sterrevoorspellers ingebring moet word.^b Die koning het vir die wyse manne van Babilon gesê: "As enige mens hierdie skrif kan lees en vir my kan sê wat dit beteken, sal 'n pers[#] kleeed vir hom aangetrek word en 'n goue ketting om sy nek gehang word.^c En hy sal as die derde heerser in die koninkryk regeer."^d

8 Toe het al die wyse manne van die koning ingekom, maar hulle kon nie die skrif lees of vir die koning sê wat dit beteken nie.^e **9** Daarom was koning Bel'sasar baie bang, en hy het bleek geword. En sy belangrike manne was dronkgeslaan.^f

10 Toe die koningin hoor waarvan die koning en sy belangrike manne praat, het sy in die feessaal ingekom. Die koningin het gesê: "O koning, mag u vir ewig lewe. Hoekom het u so bleek geword? Moenie bang wees nie. **11** Daar is 'n man in u koninkryk wat die gees van die heilige gode het. In die tyd van u vader is kennis en insig en wysheid soos die wysheid van die gode in hom gevind.^g Koning Nebukadne'sar, u vader, het hom as hoof van die towerpriesters, waarsêers, Galdeërs* en sterrevoorspellers aangestel.^h Dit is wat u vader gedoen het, o koning. **12** Want Daniël, aan wie die koning die naam Belt'sasarⁱ gegee het, het buitengewone wysheid en kennis en insig om drome te openbaar, om raaisels te verduide-

5:7, 11 *D.w.s. 'n groep waarsêers en sterrevoorspellers. 5:7, 16 *Pers is destyds met koningskap, rykdom en eer geassosieer.

HFST. 5

a Jes 21:2, 3

b Da 2:2

Da 4:6

c Ge 41:39, 42

Est 8:15

d Da 2:6, 48

e Da 2:27

Da 4:7

f Jes 13:1, 7

g Da 4:8, 9

h Da 2:47, 48

i Da 1:7

Da 4:8

Tweede kol.

a Da 1:17, 20

Da 6:3

b 2Kn 24:11, 14

Da 1:3, 6

Da 2:25

c Da 4:9

d Da 1:17, 20

e Jes 47:12, 13

Da 2:10, 11

Da 5:8

f Da 2:28

g Da 2:6

Da 5:7

h Da 2:37, 38

i Jer 25:9

Da 3:4, 5

Da 4:22

j Da 2:12

Da 3:6, 29

lik en om moeilike probleme op te los.*^a Laat Daniël nou geroep word, en hy sal vir u sê wat die skrif beteken."

13 Toe is Daniël voor die koning ingebring. Die koning het vir Daniël gevra: "Is jy Daniël, wat deur my vader, die koning, saam met die ander ballinge^a uit Juda gebring is?^b **14** Ek het gehoor dat die gees van die gode in jou is^c en dat jy kennis en insig en buitengewone wysheid het.^d **15** Die wyse manne en die waarsêers is voor my ingebring om hierdie skrif te lees en vir my te sê wat dit beteken, maar hulle kan nie vir my vertel wat die boodskap beteken nie.^e **16** Maar ek het gehoor dat jy geheime kan openbaar^f en moeilike probleme kan oplos.* As jy dan nou die skrif kan lees en vir my kan sê wat dit beteken, sal 'n pers[#] kleeed vir jou aangetrek word en 'n goue ketting om jou nek gehang word. En jy sal as die derde heerser in die koninkryk regeer."^g

17 Toe het Daniël die koning geantwoord: "U kan maar u gawes hou en u geskenke aan ander gee. Maar ek sal die skrif vir die koning lees en vir u sê wat dit beteken. **18** Wat u betref, o koning, die allerhoogste God het aan u vader Nebukadne'sar die koninkryk en grootheid en eer en majesteit gegee.^h **19** Weens die grootheid wat Hy hom gegee het, het alle volke, nasies en taalgroep van vrees voor hom gebeve.ⁱ Hy kon almal doodmaak wat hy wou doodmaak en almal laat lewe wat hy wou laat lewe. Hy kon mense verhoog en hy kon hulle verneder.^j

5:12 *Lett. "om knope los te maak". 5:13 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. 5:16 *Lett. "en knope kan losmaak".

20 Maar hy het hoogmoedig en hardkoppig geword,* en toe het hy vermetel[#] opgetree.^a Hy is van die troon van sy koninkryk verwyder, en sy heerlikheid is van hom weggeneem. **21** Hy is van mense af weggejaag, en sy hart is soos dié van 'n dier gemaak, en hy het by die wilde-donkies gewoon. Hy het gras geëet net soos 'n bees, en sy liggaam is deur die dou van die hemel natgemaak. Daarna het hy geweet dat die allerhoogste God die Heerser in die koninkryk van die mensdom is en dat hy daarvoor aanstel wie hy ook al wil.^b

22 "Maar u, sy seun Bel'sasar, het nie u hart verneder nie, hoewel u dit alles geweet het.

23 In plaas daarvan het u in opstand gekom teen die Here van die hemel,^c en u het gesê dat die houters van sy huis na u toe gebring moet word.^d Toe het u en u belangrike manne, u byvrouens en u ondergeskikte vrouens wyn daaruit gedrink, en gode van silwer en goud, van koper, yster, hout en klip geloof - gode wat niks sien en niks hoor en niks weet nie.^e Maar u het nie die God verheerlik van wie u lewe en al u weë afhang nie.^f

24 Daarom het hy die hand gestuur om hierdie skrif te skryf.^g **25** En dit is wat geskryf is: MENE, MENE, TEKEL en PARSIN.

26 "Dit is wat die woorde beteken: MENE - God het die dave van u koninkryk getel en 'n einde daaraan gemaak.^h

27 "TEKEL - u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind.

5:20 *Of "sy hart het hoogmoedig geword en sy gees het hard geword". "Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie.

HFST. 5

a Jes 14:13, 14
Da 4:30

b Da 4:31-35

c Jer 50:29

d Da 5:2, 3

e Ps 115:4-7
Jes 46:6, 7

f Ps 104:29

g Da 5:5

h Jes 13:11
Jer 25:12
Jer 27:6, 7
Jer 50:1, 2
Jer 51:11

Tweede kol.

a Esr 1:1, 2
Jes 21:2
Jes 45:1
Jer 50:9
Da 6:28
Da 9:1

b Da 5:7, 16

c Jes 21:9
Jer 51:8, 31
Jer 51:39, 57d Da 6:1
Da 9:1

HFST. 6

e Est 1:1
Da 9:1f Da 2:48
Da 5:29g Esr 8:36
Est 8:9
Da 3:2h Da 1:17, 20
Da 5:12

i Est 3:8

28 "PERES - u koninkryk is verdeel en aan die Mede en die Perse gegee."^a

29 Toe het Bel'sasar die bevel gegee, en hulle het vir Daniël 'n pers* kleed aangetrek en 'n goue ketting om sy nek gehang. En hulle het aangekondig dat hy die derde heerser in die koninkryk sou word.^b

30 Daardie selfde nag is Bel'sasar, die Galdese koning, doodgemaak.^c **31** En Darius^d die Meder het die koninkryk ontvang. Hy was ongeveer 62 jaar oud.

6 Darius het besluit om 120 satrape oor die hele koninkryk aan te stel.^e **2** Drie hoë amptenare is oor hulle aangestel, van wie Daniël^f een was. En die satrape^g het aan hulle verslag gedoen sodat die koning se belange beskerm sou word. **3** Daniël het bewys dat hy bekwaam is as die ander hoë amptenare en die satrape, want hy was besonder wys.^h En die koning was van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

4 Toe het die hoë amptenare en die satrape fout probeer vind met die manier waarop Daniël na regeringsake omgesien het, maar hulle kon geen fout of oneerlikheid vind waarvoor hulle hom kon aankla nie, want hy was betroubaar en was glad nie nalatig of oneerlik nie. **5** Hierdie manne het toe gesê: "Ons sal niks vind waarvoor ons Daniël kan aankla nie, tensy ons iets teen hom kan vind wat verband hou met die wet van sy God."ⁱ

6 Toe het hierdie hoë amptenare en satrape saam na die koning gegaan en vir hom gesê: "O

5:29 *Pers is destyds met koningskap, rykdom en eer geassosieer.

koning Darius, mag u vir ewig lewe. **7** Al die hoë amptenare van die koninkryk, prefekte, satrape, hoë koninklike beampes en goewerneys het saam besluit dat die koning 'n bevel moet gee en 'n verbod moet instel dat enigiemand wat gedurende die volgende 30 dae 'n versoek tot enige god of mens behalwe u rig, o koning, in die leeuuil gegooi moet word.^a **8** Mag u, o koning, die bevel gee en dit onderteken,^b sodat dit nie verander kan word nie, want die wette van die Mede en die Perse kan nie teruggetrek word nie.”^c

9 Toe het koning Darius die bevel en die verbod onderteken.

10 Toe Daniël hoor dat die bevel onderteken is, het hy huis toe gegaan. Sy dakvertrek het vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem.^d En net soos hy altyd gedoen het, het hy drie keer per dag op sy knieë gegaan om tot sy God te bid en hom te loof. **11** Toe het daardie manne ingestorm en Daniël gevind terwyl hy gebed het en sy God om genade gesmeek het.

12 Toe het hulle na die koning gegaan en hom herinner aan die koninklike verbod: “Het u nie 'n verbod onderteken wat sê dat enigiemand wat gedurende 30 dae 'n versoek tot enige god of mens behalwe u rig, o koning, in die leeuuil gegooi moet word nie?” Die koning het geantwoord: “Ja, en dit is besluit volgens die wet van die Mede en die Perse, wat nie teruggetrek kan word nie.”^e

13 Hulle het dadelik vir die koning gesê: “Daniël, wat uit die ballinge* van Juda is,^f het hom

6:13 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

HFST. 6

a Da 3:6

b Est 3:12
Est 8:10

c Est 1:19
Est 8:8

d 1Kn 8:44, 45

e Est 8:8
Da 6:7, 8

f Da 1:3, 6
Da 2:25
Da 5:13

Tweede kol.

a Est 3:8
Da 6:10

b Est 8:8
Da 6:8

c Da 6:7
Heb 11:32, 33

d 1Sa 17:37
Heb 11:32, 33

e Ps 34:7
Ps 118:5
Da 3:28

nie aan u gesteur nie, o koning, en ook nie aan die verbod wat u onderteken het nie, maar hy bid drie keer per dag.”^a **14** Toe die koning dit hoor, was hy baie ontsteld, en hy het probeer dink aan 'n manier om Daniël te red. Tot sonder het hy alles gedoen wat hy kon om hom te red. **15** Uiteindelik het daardie manne saam na die koning toe gegaan en vir hom gesê: “Onthou, o koning, volgens die wet van die Mede en die Perse mag geen verbod of bevel van die koning verander word nie.”^b

16 Op die koning se bevel het hulle Daniël dus gebring en hom in die leeuuil gegooi.^c Die koning het vir Daniël gesê: “Jou God wat jy so getrou dien, sal jou red.” **17** Toe is 'n klip oor die opening van die kuil gesit, en die koning het dit met sy seëlring en met die seëlringe van sy belangrike manne verseël, sodat niks in verband met Daniël se saak verander kon word nie.

18 Toe het die koning na sy paleis gegaan. Hy het die hele nag lank gevas en het geweier om enige vermaak te geniet,* en hy kon nie slaap nie. **19** Uiteindelik, toe dit net begin lig word, het die koning opgestaan en haastig na die leeuuil gegaan. **20** Toe die koning naby die kuil kom, het hy hartseer na Daniël geroep en gevra: “O Daniël, kneg van die lewende God, was jou God wat jy so getrou dien, in staat om jou van die leeu te red?” **21** Daniël het onmiddellik vir die koning gesê: “O koning, mag u vir ewig lewe. **22** My God het sy engel gestuur en die bek van die leeuus toegemaak,^d en hulle het niks aan my gedoen nie,^e want ek

6:18 *Of moontlik “en geen musikante is na hom toe gebring nie”.

was onskuldig voor hom. En ek het ook niks verkeerd teenoor u gedoen nie, o koning.”

23 Die koning was baie bly, en hy het beveel dat Daniël uit die leeuuil opgetrek moet word. Toe Daniël uit die kuil kom, het hulle gesien dat daar nie eers 'n skrapie aan hom is nie, want hy het op sy God vertrou.^a

24 Die koning het toe beveel dat die manne wat Daniël beskuldig* het, gebring moet word, en hulle is saam met hulle seuns en hulle vrouens in die leeuuil gegooi. Nog voordat hulle die onderkant van die kuil bereik het, het die leeus hulle aangeval en hulle verskeur.^b

25 Toe het koning Darius aan al die volke, nasies en taalgroepe op die hele aarde geskryf:^c “Mag julle groot vrede hê! **26** Ek beveel dat die mense in elke gebied van my koninkryk moet bewee van vrees voor die God van Daniël.^d Want hy is die lewende God wat vir ewig bestaan. Sy koninkryk sal nooit vernietig word nie, en sy heerskappy* duur vir ewig.^e **27** Hy red,^f bevry en verrig tekens en wonders in die hemel en op die aarde.^g Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered.”

28 En dit het goed gegaan met Daniël in die koninkryk van Darius^h en in die koninkryk van Kores die Pers.ⁱ

7 In die eerste jaar van koning Bel'sasar^j van Babilon, het Daniël 'n droom gehad en visioene gesien terwyl hy op sy bed gelê het.^k Toe het hy die droom neergeskryf.^l Hy het 'n volledige verslag neergeskryf. **2** Daniël het gesê:

“Ek het in my visioene gedurende die nag gesien hoe die

6:24 *Of “belaster”. **6:26** *Of “soewereiniteit”.

HFST. 6

a Ps 37:40
Spr 18:10
Da 3:26, 27

b Est 7:10

c Est 8:9
Da 4:1

d Da 3:29

e Da 4:34

f Da 3:28

g Jer 32:20
Da 4:3

h Da 5:31
Da 6:1, 2

i 2Kr 36:22, 23
Esr 1:1, 2
Jes 44:28

HFST. 7

j Da 5:1, 30

k Da 2:19
Da 8:1

l Jes 30:8
Hab 2:2
Op 1:11

Tweede kol.

a Jes 57:20
Op 17:15

b Da 7:17

c Da 2:37, 38

d De 28:49, 50
Jer 48:40
Klg 4:19
Hab 1:8

e Da 2:39
Da 5:28
Da 8:3, 20

f Jes 13:17, 18
Da 11:2

g Da 2:39
Da 8:5
Da 11:3

h Da 8:8
Da 11:4

i Da 2:40
Da 7:19

j Da 7:24

k Da 7:20
Op 13:5

l Ps 90:2
Da 7:13, 22
Hab 1:12

m Jes 6:1, 2
Op 4:2, 3

n Ps 104:1, 2

vier winde van die hemel die uitgestrekte see onstuimig laat word.^a **3** En vier yslike diere^b het uit die see opgekom. Elkeen was anders as die ander.

4 “Die eerste was soos 'n leeu,^c en hy het die vlerke van 'n arend gehad.^d Terwyl ek gekyk het, is sy vlerke uitgeruk, en hy is van die aarde af opgetel sodat hy op twee voete gestaan het soos 'n mens, en die hart van 'n mens is aan hom gegan.

5 “Toe het 'n ander dier verskyn, 'n tweede, wat soos 'n beer gelyk het.^e Sy een kant was opgelig, en daar was drie ribbene in sy bek tussen sy tande. En daar is vir hom gesê: ‘Staan op, eet baie vleis.’^f

6 “Ek het bly gekyk, en toe het 'n ander dier verskyn. Hy het soos 'n luiperd gelyk,^g maar hy het vier vlerke soos dié van 'n voël op sy rug gehad. En die dier het vier koppe gehad,^h en hy het gesag ontvang om te regeer.

7 “Hierna het ek in die visioene van die nag 'n vierde dier gesien. Hy was vreesaanjaend en skrikwekkend en buitengewoon sterk, en hy het groot tande van yster gehad. Hy het verslind en stukkend gebyt, en wat oorgebly het, het hy met sy pote vertrap.ⁱ Hy was anders as al die ander diere wat voor hom was, en hy het tien horings gehad. **8** Terwyl ek na die horings gekyk het, het 'n ander horing, 'n kleintjie,^j tussen hulle uitgekome, en drie van die eerste horings is voor hom uitgeruk. En hierdie horing het oë soos die oë van 'n mens gehad, en hy het 'n mond gehad wat spog.^k

9 “Terwyl ek gekyk het, is trone neergesit, en die Oue van Dae^l het gaan sit.^m Sy klere was wit soos sneeu,ⁿ en die hare van

sy kop was soos skoon wol. Sy troon was vuurvlamme, en die wiele daarvan was 'n brandende vuur.^a **10** 'n Stroom vuur het van die troon af voor hom uitgevloei.^b 'n Duisend maal duisend het hom bly dien, en tienduisend maal tienduisend het voor hom gestaan.^c Die Hof^d het gaan sit, en boeke is oopgemaak.

11 "Ek het aangehou om te kyk omdat ek gehoor het hoe die horing bly spog.^e Ek het gekyk totdat die dier doodgemaak is en sy liggaam in die brandende vuur gegooi en vernietig is. **12** Maar die heerskappy van die res van die diere^f is van hulle wegge neem, en hulle is toege laat om nog 'n tyd en 'n tydperk te lewe.

13 "Terwyl ek na die visioene van die nag gekyk het, het ek gesien dat iemand soos 'n seun van die mens^g met die wolke van die hemel kom. Hy het toegang tot die Oue van Dae^h verkry, en hy is tot voor Hom gebring. **14** En aan hom is heerskappy,ⁱ eer^j en 'n koninkryk gegee, sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sal dien.^k Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie tot 'n einde sal kom nie, en sy koninkryk sal nie vernietig word nie.^l

15 "Ek, Daniël, was baie ontsteld, want die visioene het my bang gemaak.^m **16** Ek het gegaan na een van dié wat daar gestaan het om hom te vra wat dit alles beteken. En hy het vir my gesê wat al hierdie dinge beteken:

17 "'Hierdie vier yslike diereⁿ is vier konings wat op die aarde sal regeer.^o **18** Maar die heiliges van die Allerhoogste^p sal die koninkryk ontvang,^q en hulle sal die koninkryk vir ewig besit,^r ja, vir ewig en altyd.^s

HFST. 7

a De 9:3
Heb 12:29
b Ps 50:3
Ps 97:3
c De 33:2
1Kn 22:19
Ps 68:17
Heb 12:22
Jud 14
Op 5:11
d 1Sa 2:10
Ps 50:6
e Da 7:8, 25
f Da 7:3
g Mt 24:30
Lu 21:27
Joh 3:13
Han 7:56
Op 14:14
h Ps 90:2
Da 7:9, 22
Hab 1:12
i Ps 2:6
Ps 110:1, 2
Mt 28:18
1Kor 15:25
Ef 1:22
Op 3:21
j Flp 2:9-11
k Ge 49:10
l Ps 45:6
m Jes 9:6, 7
Da 2:44
Lu 1:32, 33
Op 11:15
n Da 8:27
o Da 7:3
p Da 2:39, 40
q Da 7:25, 27
r Mt 19:28
2Ti 2:12
Op 3:21
Op 5:9, 10
s Da 7:21, 22
Lu 22:29

Tweede kol.

a Da 2:40
Da 7:7
b Da 7:24
c Da 7:8
d Da 8:23, 24
Da 12:7
Op 13:7
e Ps 90:2
Da 7:9, 13
Hab 1:12
f Da 7:18, 27
g Mt 19:28
Lu 22:29
Op 1:6
Op 3:21
Op 5:9, 10
Op 20:4
h Da 2:40
Da 7:7
i Da 7:20
j Da 7:8
k Da 12:7
Op 13:5-7
l Da 7:10, 11

19 "Toe wou ek meer weet oor die vierde dier, wat anders was as al die ander. Hy was buitengewoon vreesaanjaend, met tande van yster en kloue van koper, en hy het verslind en stukkend gebyt, en wat oorgebly het, het hy met sy pote vertrap.^a **20** Ek wou ook meer weet oor die tien horings^b op sy kop en oor die ander horing wat uitgekrom het en drie ander horings laat val het.^c Daardie horing het oë gehad, en 'n mond wat spog, en hy was groter as die ander.

21 "Terwyl ek gekyk het, het daardie horing teen die heiliges oorlog gevoer. Hy het die oorhand oor hulle gehad.^d **22** totdat die Oue van Dae^e gekom het en ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste^f geoordeel het en die vasgestelde tyd aangebreek het vir die heiliges om die koninkryk in besit te neem.^g

23 "Dit is wat hy gesê het: 'Die vierde dier is 'n vierde koninkryk wat op die aarde sal wees. Dit sal anders wees as al die ander koninkryke, en dit sal die hele aarde verslind en sal dit vertrap en verwoes.^h **24** Die tien horings is tien konings wat uit daardie koninkryk sal opstaan. Ná hulle sal nog 'n ander een opstaan, en hy sal anders wees as die eerstes, en hy sal drie konings verneder.ⁱ **25** Hy sal teen die Allerhoogste praat,^j en hy sal aanhou om die heiliges van die Allerhoogste te vervol. Hy sal daarop uit wees om tye en wet te verander, en hulle sal vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd* in sy hand gegee word.^k **26** Maar die Hof het gaan sit, en hulle het sy heerskappy wegge neem, en hy is verwoes en heeltemal vernietig.^l

27 "'En die koninkryk en die heerskappy en die heerlikheid

7:25 *D.w.s. drie en 'n half tye.

van al die koninkryke onder die hemel is gegee aan die volk wat die heiliges van die Allerhoogste is.^a Hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk,^b en al die koninkryke sal hulle dien en gehoorsaam.^c

28 "Dit is die einde van die saak. En ek, Daniël, was so bang dat ek bleek geword het, maar ek het oor die saak bly nadink."

8 In die derde jaar van die koningskap van koning Bel'sasar^c het ek, Daniël, nog 'n visioen gesien, ná die een wat ek vroeër gesien het.^d **2** In die visioen was ek in die paleis* Susa.^e wat in die Elam-provinsie is.^f Ek het die visioen gesien, en ek was langs die Ulai-rivier.^g

3 Toe ek opkyk, het ek 'n ram^g voor die rivier sien staan, en hy het twee horings gehad.^h Die twee horings was lank, maar die een was langer as die ander, en die langste horing het laaste uitgekome.ⁱ **4** Ek het gesien dat die ram na die weste en na die noorde en na die suide toe stoot. Geen wilde dier kon teen hom staande bly nie, en daar was niemand wat hulle uit sy mag* kon red nie.^j Hy het gedoen net wat hy wil, en hy het hoogmoedig geword.

5 Terwyl ek bly kyk het, het 'n bokram^k uit die weste* gekom wat die oppervlak van die hele aarde deurkruis het sonder om aan die grond te raak. En die bokram het 'n opvallende horing tussen sy oë gehad.^l **6** Hy het al hoe nader gekom aan die ram met die twee horings, wat ek voor die rivier sien staan het. Hy het met groot woede na hom toe gehardloop.

7 Ek het gesien hoe hy al hoe nader aan die ram kom, en hy

8:2 *Of "vesting". ^aOf "Susa". ^gOf "Ulai-kanaal". 8:4, 7 *Lett. "hand". 8:5 *Of "sonsondergang".

HFST. 7

a Da 7:22
Mt 19:28
Lu 22:29
Op 20:4

b Op 11:15

HFST. 8

c Da 5:1, 30

d Da 7:1, 15

e Ne 1:1
Est 2:8

f Ge 10:22
Jes 11:11
Jes 21:2

g Jes 13:17
Jer 51:11
Da 7:5
Da 8:20

h Est 1:1, 3

i Jes 44:28

j Jes 45:1
Jer 51:12
Da 5:30, 31

k Da 2:39
Da 7:6
Da 8:21

l Da 11:3

Tweede kol.

a Da 8:22
Da 11:4

b Ps 48:2
Da 11:16, 45

c Da 11:31
Da 12:11

d Da 12:11

was baie kwaad. Hy het die ram gestoot en sy twee horings gebreek, en die ram het geen krag gehad om teen hom staande te bly nie. Hy het die ram teen die grond gegooi en hom vertrap, en daar was niemand wat die ram uit sy mag* kon red nie.

8 Toe het die bokram baie hoogmoedig geword, maar net toe hy magtig geword het, is die groot horing gebreek. Toe het vier opvallende horings in die plek van daardie horing uitgekome, en hulle het in die vier windrigtings gewys.^a

9 Uit een van hulle het 'n ander horing voortgekome, 'n kleintjie, en hy het baie groot geword na die suide en na die ooste* en na die Pragtige Land toe.^b

10 Hy het so groot geword dat hy tot by die leërmag van die hemel gekom het, en hy het 'n deel van die leërmag en party van die sterre op die aarde laat val, en hy het hulle vertrap. **11** Hy het selfs teen die Hoof van die leërmag hoogmoedig opgetree, en die gereelde offerande* is van hom weggenome, en die vaste plek van sy heiligdom is verwoes.^c **12** As gevolg van die oortreding is 'n leërmag, saam met die gereelde offerande,* oorgelewer. En hy het die waarheid na die grond toe bly gooi, en hy was suksesvol in wat hy gedoen het.

13 En ek het 'n heilige hoorpraat, en 'n ander heilige het vir die een wat praat, gevra: "Hoe lank sal die dinge in die visioen aanhou, naamlik die gereelde offerande* en die oortreding wat verwoesting veroorsaak^d en die vertrapping van die heiligdom en die leërmag?" **14** Toe het hy vir my gesê: "Dit sal 2 300 aande en oggende aanhou,

8:9 *Of "sonsopkoms". 8:11-13 *Of "voortdurende kenmerk".

en daarna sal die heiligdom beslis tot sy regte toestand herstel word."

15 Terwyl ek, Daniël, die visioen gesien en probeer verstaan het, het ek skielik iemand voor my sien staan wat soos 'n man gelyk het. **16** Toe het ek die stem van 'n man gehoor wat vanuit die Ulai-rivier^a roep en sê: "Ga'briël,^b laat hom verstaan wat hy gesien het."^c **17** Hy het gekom tot waar ek gestaan het, maar ek het so geskrik dat ek neergeval het met my gesig na die grond toe. Hy het vir my gesê: "Verstaan, o mensekind, dat die visioen vir die tyd van die einde is."^d **18** Maar terwyl hy met my gepraat het, het ek vas aan die slaap geraak met my gesig na die grond toe. Hy het aan my geraak en my laat opstaan waar ek gestaan het.^e **19** En hy het gesê: "Ek sal jou vertel wat aan die einde van die veroordeling sal gebeur, want dit is vir die vasgestelde tyd van die einde."^f

20 "Die ram met die twee horings wat jy gesien het, stel die konings van Medië en Persië voor.^g **21** Die harige bokram stel die koning van Griekeland voor,^h en die groot horing wat tussen sy oë was, stel die eerste koning voor.ⁱ **22** Die feit dat die horing gebreek is en vier ander in sy plek uitgekóm het,^j beteken dat vier koninkryke uit sy nasie sal opstaan, maar nie met sy krag nie.

23 "En aan die einde van hulle koninkryk, terwyl die oortreders hulle dade voltooi, sal daar 'n koning opstaan wat 'n wrede voorkoms het en wat weet hoe om slinkse planne te beraam.* **24** Hy sal baie magtig word, maar nie deur sy eie mag nie.

8:16 *Of "Ulai-kanaal". **8:23** *Of "wat dubbelsinnige gesegdes verstaan".

HFST. 8

a Da 8:2

b Lu 1:19, 26

c Da 9:21, 22

d Da 10:14
Da 12:4, 9

e Da 10:9, 10

f Da 11:27

g Da 7:5
Da 8:3
Da 11:2

h Da 7:6

i Da 8:5
Da 11:3j Da 8:8
Da 11:4

Tweede kol.

a Da 7:25
Da 8:10

b Da 10:14

c Da 7:28
Da 10:16

d Da 2:48, 49

e Da 8:17

HFST. 9

f Da 6:28
Da 11:1

g Da 5:30, 31

h Esr 1:1, 2
Ps 79:1
Jes 64:10
Klg 1:1

i 2Kr 36:20, 21

Jer 25:11
Jer 29:10
Sag 1:12
Sag 7:5

j Esr 8:21

Hy sal verskriklike* verwoesting aanrig, en hy sal suksesvol wees in wat hy doen. Hy sal verwoesting bring oor magtiges, asook oor die heilige volk.^a **25** En weens sy slinkheid sal hy bedrieglik optree om sukses te behaal. Hy sal baie hoogmoedig word. En in 'n tyd van veiligheid,* sal hy verwoesting oor baie bring. Hy sal selfs teen die Heerser van die heersers^b opstaan, maar hy sal gebreek word, en nie deur 'n menshand nie.

26 "Wat in die visioen oor die aande en die oggende gesê is, is waar. Maar jy moet die visioen geheim hou, want dit verwys na 'n tyd in die verre toekoms."^b

27 Ek, Daniël, was uitgeput en ek was dae lank siek.^c Toe het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen,^d maar ek was stomgeslaan weens wat ek gesien het en wat niemand kon verstaan nie.^e

9 In die eerste jaar van Darius,^f die seun van Ahas'veros – 'n afstammeling van die Mede wat oor die koninkryk van die Galdeërs^g koning gemaak is – **2** ja, in sy eerste regeringsjaar, het ek, Daniël, uit die boeke* onderskei hoeveel jaar Jerusalem verlate sou wees^h volgens Jehovah se boodskap aan die profeet Jeremia, naamlik 70 jaar.ⁱ **3** Toe het ek tot Jehovah, die ware God, gebed en hom om hulp gesmeek. Ek het gevas,^j saklinne gedra en as oor my gegooi. **4** Ek het tot Jehovah my God gebed en die sondes van my volk bely en gesê:

"O Jehovah, die ware God, u is die groot en ontsagwekkende

8:24 *Of "op 'n buitengewone manier".

8:25 *Of moontlik "En sonder waar-skuwing". *Of "Vors van die vorste".

8:26 *Of "'n tyd baie dae van nou af".

9:2 *D.w.s. die heilige boeke.

Een wat u verbond hou en wat lojale liefde betoon^a aan almal wat u liefhet en u gebooie gehoorsaam.^b **5** Ons het gesondig en gedoen wat verkeerd is en het goddeloos opgetree en in opstand gekom.^c Ons het nie by u gebooie en u oordele gebly nie. **6** Ons het nie geluister na u knegte, die profete,^d wat in u naam met ons konings, ons leiers, ons voorvaders en die hele volk van die land gepraat het nie. **7** O Jehovah, u is regverdig, maar vandag moet ons ons skaam – die manne van Juda, die inwoners van Jerusalem en die hele Israel, dié wat naby is en dié wat ver weg is, in al die lande waarheen u hulle verstrooi het omdat hulle ontrou teenoor u was.^e

8 “O Jehovah, ons sowel as ons konings, ons leiers en ons voorvaders moet ons skaam omdat ons teen u gesondig het. **9** Jehovah ons God, u betoon genade en vergewe vryelik,^f hoewel ons teen u in opstand gekom het.^g **10** Jehovah ons God, ons het nie na u stem geluister deur gehoorsaam te wees aan u wette wat u deur middel van u knegte, die profete, vir ons gegee het nie.^h **11** Die hele Israel het u Wet oortree, en hulle het afgedwaal omdat hulle nie na u stem geluister het nie. En u het die vloek en die eed oor ons laat kom wat neergeskryf is in die Wet van Moses, die kneg van die ware God,ⁱ want ons het teen u gesondig. **12** U het vervul wat u vir ons en ons heersers gesê het,^j deur groot rampspoed oor ons te laat kom. Wat met Jerusalem gebeur het, is erger as enigiets wat nog ooit op die hele aarde gebeur het.^k **13** Al hierdie rampspoed het oor ons gekom, net soos daar in die Wet van Moses

HFST. 9

- a Eks 34:6
b De 5:9, 10
Ne 1:5
c Esr 9:6, 7
Ne 9:26, 33
Ps 106:6
Klg 3:42
d 2Kr 36:15, 16
Jer 7:13
e Le 26:33
De 28:41
2Kn 17:6
Jes 11:11
f Eks 34:6, 7
Ne 9:17
Ps 86:5
g Ne 9:26
h 2Kn 17:13, 14
i De 28:15
De 31:17
j Klg 2:17
k Jer 39:8

Tweede kol.

- a Le 26:16, 17
De 28:15
Klg 1:1
b Jes 9:13
Jer 5:3
c Ne 9:33
d Eks 6:1
e Eks 9:16
Ne 9:10
Ps 106:7, 8
f Ps 89:14
Jes 26:9
g Le 26:38, 39
1Kn 9:7-9
Ps 79:1, 4
Jer 24:9
h Nu 6:23, 25
i Jes 64:10, 11
Klg 5:18
j Ps 102:13
Jes 54:7, 8
Jer 14:7
k 1Kn 8:30
l Ps 79:8, 9
Jes 63:18, 19
Jer 14:9
m Ps 87:1, 2
Sag 8:3

geskryf is.^a En tog, Jehovah ons God, het ons u nie om genade gesmeek nie.* Ons het nie van ons sondes weggedraai^b en gewys dat ons u getrouheid[#] verstaan nie.

14 “Jehovah, u het waaksam gebly en rampspoed oor ons gebring, want u, Jehovah ons God, is regverdig in alles wat u doen. En tog het ons nie na u stem geluister nie.^c

15 “O Jehovah ons God – u wat u volk met 'n sterk hand uit Egipte uitgelei het^d en 'n naam vir u self gemaak het, soos dit vandag nog is^e – ons het gesondig en goddeloos opgetree. **16** O Jehovah, u doen altyd wat regverdig is.^f Moet asseblief nie meer woedend wees vir u stad Jerusalem, u heilige berg nie. Want weens ons sondes en die oortredings van ons voorvaders is Jerusalem en u volk 'n bespotting vir almal om ons.^g **17** O ons God, luister asseblief nou na die gebed en die smeking van u kneg, en wees om u eie onthalwe genadig teenoor u heiligdom^h wat verwoes is,ⁱ o Jehovah. **18** Skenk aandag, o my God, en luister! Kyk tog en sien hoe ons swaarkry en hoe verlate die stad is wat u naam dra. Want ons smeek u nie omdat ons dade regverdig is nie, maar omdat u baie genadig is.^j **19** O Jehovah, luister tog. O Jehovah, vergewe tog.^k O Jehovah, skenk tog aandag en tree op! Tree vinnig op, om u eie onthalwe, o my God, want u stad en u volk dra u naam.”^l

20 Terwyl ek nog gepraat en gebed en my sonde en die sonde van my volk Israel bely het en Jehovah my God om genade gesmeek het in verband met die heilige berg van my God,^m

9:13 *Of “ons nie u aangesig versag nie”. #Of “waarheid”.

21 ja, terwyl ek nog gebid het, het Gabriël,^a die man wat ek vroeër in die visioen gesien het,^b na my toe gekom. Dit was om en by die tyd van die aandoffer, en ek was heeltemal uitgeput. 22 En hy het my gehelp om te verstaan en gesê:

“O Daniël, ek het nou gekom sodat jy insig kan kry en kan verstaan. 23 Toe jy begin bid het, het ek 'n boodskap ontvang, en ek het gekom om jou daarvan te vertel, want jy is 'n baie geliefde* man.^c Skenk dus aandag en probeer om die visioen te verstaan.

24 “Daar is vir jou volk en vir jou heilige stad^d 70 weke* vasgestel, om die oortreding te beëindig,^e om 'n einde aan sonde te maak, om versoening te doen vir foute,^f om ewige regverdigheid te bring,^g om die visioen en die profesie te verseël^h en om die Allerheiligste te salf. 25 Jy moet weet en verstaan: Vandat die bevel gegee word dat Jerusalem herstel en herbou moet wordⁱ totdat Messi'as^{*j} die Leier^k kom, sal daar 7 weke wees, en ook 62 weke.^l Jerusalem sal herstel en herbou word, met 'n openbare plein en 'n gras, maar in moeilike tye.

26 “En ná die 62 weke sal die Messi'as doodgemaak word,^m met niks vir homself nie.ⁿ

“En die volk van 'n leier wat kom, sal die stad en die heilige plek verwoes.^o En 'n vloed sal die einde daarvan veroorsaak. En tot die einde toe sal daar oorlog wees. Daar is op verwoestings besluit.^p

27 “En hy sal die verbond een week lank vir baie geldig

9:23 *Of “baie kosbare; hoogs gerespekteerde”. 9:24 *Verwys na weke van jare, met ander woorde 1 week is gelyk aan 7 jaar. 9:25 *Of “die Gelsafde”.

HFST. 9

- a Da 8:16
Lu 1:19
b Da 8:1
c Da 10:11, 19
d Ne 11:1
Jes 52:1
e Lu 1:76, 77
Heb 9:26
f Ro 3:25
1Jo 2:1, 2
1Jo 4:10
g Jes 53:11
Ro 1:16, 17
h 2Kor 1:19, 20
i Ne 2:5, 11
Ne 6:15
j Ps 2:2
Joh 1:41
k Jes 55:4
Mt 23:10
Joh 1:45, 49
l Lu 3:1, 2
m Jes 53:8, 12
Mt 26:2
Lu 24:26
1Kor 15:3
n Mr 9:12
o Mt 24:15
Lu 19:43, 44
Lu 21:20
p Lu 21:22, 24

Tweede kol.

- a Heb 9:11, 12
Heb 10:8-10
b Mr 13:14
Lu 21:20

HFST. 10

- c Da 1:7
Da 4:8
d Esr 1:1, 2
Jes 45:1
Da 1:21
Da 6:28
e Da 9:3
f Ge 2:14
g Op 19:14
h Ese 1:16
i Ese 1:5, 7
j 2Kn 6:17
Han 9:7
k Da 7:28
Da 8:27

laat bly, en teen die helfte van die week sal hy offerande en offergawe laat ophou.^a

“En die een wat verwoesting veroorsaak,^b sal op die vlerk van walglike dinge kom, en totdat 'n vernietiging plaasvind, sal dit waarop besluit is, ook kom oor die een wat verwoes is.”

10 In die derde jaar van koning Kores^c van Persië, het Daniël, wat Belt'sasar^d genoem is, 'n openbaring ontvang. Die boodskap was waar en het gehandel oor 'n groot konflik. En hy het die boodskap verstaan en is insig gegee in wat hy gesien het.

2 In daardie dae het ek, Daniël, drie volle weke getreur.^e 3 Ek het drie weke lank geen lekker kos en geen vleis geëet nie. Ek het nie wyn gedrink nie, en ek het geen olie aan my gesmeer nie. 4 Op die 24ste dag van die eerste maand, terwyl ek op die oewer was van die groot rivier, die Tigris,^{*f} 5 het ek opgekyk en 'n man in linneklere^g gesien met 'n lyfband van goud uit Ufas om sy middel.

6 Sy liggaam was soos chrisoliet,^h sy gesig was soos weerlig en sy oë was soos vuurfakkels. Sy arms en sy voete het soos blink gevryfde koper gelyk,ⁱ en sy woorde het geklink soos die geluid van 'n skare. 7 Net ek, Daniël, het die visioen gesien. Die manne wat by my was, het dit nie gesien nie.^j Maar hul le het baie bang geword, en hul le het weggehardloop en gaan wegkruip.

8 Ek het alleen agtergebly. Toe ek hierdie indrukwekkende visioen sien, het my krag my verlaat. Ek het doodsbleek geword en al my krag verloor.^k

10:4 *Lett. “Hiddekel”.

9 Daarna het ek hom hoor praat, maar terwyl hy gepraat het, het ek vas aan die slaap geraak met my gesig na die grond toe.^a **10** Toe het 'n hand aan my geraak^b en my gehelp om op my hande en knieë te staan. **11** En hy het vir my gesê:

“O Daniël, jy is 'n baie geliefde* man.^c Skenk aandag aan wat ek vir jou gaan sê. Staan nou op, want ek is na jou toe gestuur.”

Toe hy dit vir my sê, het ek bewend opgestaan.

12 Hy het toe vir my gesê: “Moenie bang wees nie,^d o Daniël. Van die eerste dag af dat jy jou ingespan het om te verstaan en om jou voor jou God te verneder, is jou woorde gehoor. En ek het weens jou woorde gekom.^e **13** Maar die prins^f van die koninklike gebied van Persië het my 21 dae lank teëgestaan. Toe het Mi'gael,^g een van die vernaamste prinse, my kom help. En ek het daar by die konings van Persië gebly. **14** Ek het gekom om jou te laat verstaan wat aan die einde van die dae met jou volk sal gebeur,^h want dit is 'n visioen oor die toekoms.”ⁱ

15 En toe hy dit vir my sê, het ek my kop laat sak en stom geword. **16** Daarna het iemand wat soos 'n man lyk, aan my lippe geraak,^j en ek het my mond oopgemaak en vir die een wat voor my gestaan het, gesê: “My heer, ek bewes weens die visioen, en ek het geen krag oor nie.^k **17** Hoe kan ek, u kneg, dan met u praat, my heer? Want ek het geen krag oor nie, en ek kan skaars asemhaal.”^m

18 Die een wat soos 'n man gelyk het, het weer aan my ge-

10:11, 19 *Of “baie kosbare; hoogs gespekteerde”. 10:13 *Beteken “wie is soos God?”

HFST. 10

a Da 8:18

b Jer 1:9
Op 1:17c Da 9:23
Da 10:19

d Op 1:17

e Da 9:23

f Ef 6:12

g Da 10:21
Da 12:1
Jud 9
Op 12:7, 8

h Da 2:28

i Da 8:17, 26
Da 12:4j Jes 6:7
Jer 1:9

k Da 10:8

l Rig 6:22

m Jes 6:5

Tweede kol.

a Da 10:10

b Op 1:17

c Da 9:22, 23
Da 10:11

d Rig 6:23

e Da 10:13

f Da 10:13
Jud 9
Op 12:7, 8

g Da 12:1

HFST. 11

h Da 5:30, 31
Da 9:1

i Da 8:21

j Da 8:5, 21

k Da 7:6
Da 8:8, 22

raak en my versterk.^a **19** Toe het hy gesê: “Moenie bang wees nie,^b o baie geliefde* man.^c Mag jy vrede hê.^d Wees sterk, ja, wees sterk.” Terwyl hy met my gepraat het, het ek krag gekry en gesê: “Laat my heer praat, want u het my versterk.”

20 Toe het hy gesê: “Weet jy hoekom ek na jou toe gekom het? Ek gaan nou terug om teen die prins van Persië te veg.^e Wanneer ek weggaan, sal die prins van Griekeland kom. **21** Maar ek sal jou vertel wat in die geskrifte van waarheid staan. Daar is niemand wat my kragtig ondersteun in hierdie dinge nie, behalwe Mi'gael,^f julle prins.”^g

11 Die engel het verder gesê: “In die eerste jaar van Darius^h die Meder het ek hom bygestaan en versterk. **2** Wat ek nou vir jou gaan sê, is die waarheid:

“Kyk! Nog drie konings sal oor Persië regeer, en die vierde sal groter rykdom opgaan as al die ander. En wanneer hy weens sy rykdom sterk word, sal hy alles inspan om teen die koninkryk van Griekeland te veg.ⁱ

3 “En 'n magtige koning sal opstaan en hy sal met groot mag regeer^j en doen net wat hy wil. **4** Maar wanneer hy baie magtig is, sal sy koninkryk opgebreek word en na die vier windrigtings toe verdeel word.^k Dit sal nie aan sy nakomelinge behoort nie, en dit sal nie soos sy heerskappy wees nie, want sy koninkryk sal uitgeruk word en aan ander behoort.

5 “En die koning van die suide, dit wil sê een van sy bevelvoerders, sal sterk word, maar daar sal iemand wees wat die oorhand oor hom kry en wat met groter mag as hy sal regeer.

6 "Ná 'n aantal jare sal hulle 'n ooreenkoms maak, en die dogter van die koning van die suide sal na die koning van die noorde toe kom om 'n ooreenkoms* te maak. Maar sy sal nie haar mag behou nie, en hy sal val en sy mag verloor. Sy sal oorgelewer word, sy en dié wat haar inbring, sowel as haar pa en die een wat haar in daardie tyd sterk maak. 7 En 'n spruit uit haar wortels sal in sy posisie opstaan, en hy sal na die leërmag kom en teen die vesting van die koning van die noorde kom en teen hulle optree en die oorhand kry. 8 Hy sal selfs met hulle gode, met hulle metaalbeelde, met hulle kosbare voorwerpe van silwer en van goud en met gevangenes na Egipte kom. Hy sal 'n aantal jare wegbly van die koning van die noorde, 9 wat teen die koninkryk van die koning van die suide sal kom, maar na sy eie land sal teruggaan.

10 "Sy seuns sal gereedmaak vir oorlog en 'n baie groot leërmag bymekaarmaak. Hy sal beslissig optrek en soos vloedwaters deur die land stroom. Maar hy sal teruggaan, en hy sal die hele pad tot by sy vesting oorlog voer.

11 "En die koning van die suide sal verbitterd word en sal uitgaan en teen hom veg, dit wil sê teen die koning van die noorde. En hy sal 'n groot menigte bymekaarmaak, maar die menigte sal in daardie een se hand gegee word. 12 En die menigte sal weggeneem word. Hy sal hoogmoedig word, en hy sal tienduisende vernietig, maar hy sal nie van sy sterk posisie gebruik maak nie.

13 "Die koning van die noorde sal teruggaan en 'n groter

Tweede kol.

HFST. 11

a Ps 48:2
Da 8:9
Da 11:41, 45

menigte as die eerste een bymekaarmaak. En aan die einde van die tye, ná 'n aantal jare, sal hy beslissig kom met 'n groot en goed toegeruste leërmag. 14 In daardie tyd sal baie teen die koning van die suide opstaan.

"En die gewelddadige mense onder jou volk sal opgesweep word in 'n poging om 'n visioen te laat waar word, maar hulle sal struikel.

15 "En die koning van die noorde sal kom en 'n beleëringswal oprig en 'n versterkte stad inneem. En die leërmagte* van die suide sal nie staande bly nie, en ook nie sy beste manne nie. Hulle sal nie die krag hê om staande te bly nie. 16 Die een wat teen hom kom, sal doen net wat hy wil, en niemand sal voor hom staande bly nie. Hy sal in die Pragtige Land staan,^a en hy sal die vermoë hê om te vernietig. 17 Hy sal vasbeslote wees om met die volle krag van sy koninkryk te kom. Hy sal 'n ooreenkoms maak,* en hy sal suksesvol wees in wat hy doen. En hy sal toegelaat word om die ondergang van die dogter te veroorsaak. En sy sal nie staande bly nie, en sy sal nie syne bly nie. 18 Hy sal terugdraai na die kuslande en baie lande verower. En 'n bevelvoerder sal die vernedering wat hy weens hom verduur het, laat ophou, en dit sal tot 'n einde kom. Hy sal die vernedering oor daardie een laat kom. 19 Dan sal hy terugdraai na die vestings van sy eie land, en hy sal struikel en val, en hy sal nie gevind word nie.

20 "In sy posisie sal daar iemand opstaan wat 'n eiser*

11:15 *Lett. "arms". 11:17 *Of "sal met redelike voorwaardes kom". 11:20 *Moontlik 'n belastingeiser. Of "taakgewer".

11:6 *Of "redelike ooreenkoms".

deur die pragtige koninkryk laat trek. En binne 'n paar dae sal hy vernietig word, maar nie weens woede of oorlog nie.

21 "In sy posisie sal daar iemand opstaan wat gehaat* word, en hy sal nie koninklike waardigheid ontvang nie. En hy sal gedurende 'n tyd van veiligheid^d inkom en die koninkryk deur middel van bedrog verkry. **22** En die leërmagte* wat soos vloedwaters sal wees, sal weens hom weggevee word, en hulle sal gebreek word, net soos die Leier^a van die verbond.^b **23** Weens hulle ooreenkoms met hom, sal hy bedrog pleeg en optrek en magtig word deur middel van 'n klein nasie. **24** In 'n tyd van veiligheid* sal hy in die beste dele van die provinsie ingaan en doen wat sy voorvaders nie gedoen het nie. Hy sal buit en goedere onder hulle verdeel, en hy sal planne teen vestings beraam, maar net vir 'n tyd.

25 "Hy sal met krag en moed teen die koning van die suide optrek met 'n groot leërmag. En die koning van die suide sal hom vir die oorlog gereedmaak met 'n uiters groot en magtige leërmag. En hy sal nie bly staan nie, want hulle sal planne teen hom beraam. **26** En dié wat sy kos eet, sal sy ondergang veroorsaak.

"En sy leërmag sal weggevee word, en baie sal doodgemaak word.

27 "Die harte van hierdie twee konings sal geneig wees om te doen wat sleg is, en hulle sal by een tafel sit en vir mekaar leuens vertel. Maar niks sal

11:21 *Of "verag". ^aOf moontlik "sal sonder waarskuwing". 11:22, 31 *Lett. "arms". 11:24 *Of moontlik "Sonder waarskuwing".

HFST. 11

a Da 9:25
Joh 1:45, 49

b Ge 15:18
Han 3:25

Tweede kol.

a Da 12:9

b Ge 10:4
Nu 24:24
Jes 23:1
Jer 2:10
Ese 27:6

c Da 11:28

d Da 8:11

e Da 8:12

f Da 12:11
Mt 24:15
Mr 13:14
Lu 21:20

g Da 12:10

h Da 12:10

slaag nie, want die einde sal op die vasgestelde tyd kom.^a

28 "En hy sal met baie goedere na sy land teruggaan, en sy hart sal teen die heilige verbond wees. Hy sal suksesvol wees en na sy land teruggaan.

29 "Op die vasgestelde tyd sal hy terugkom, en hy sal teen die suide optrek. Maar hierdie keer sal dit nie soos voorheen wees nie, **30** want die skepe van Kittim^b sal hom aanval, en hy sal verneder word.

"Hy sal teruggaan en sy woede* uitstort oor die heilige verbond,^c en hy sal suksesvol wees. En hy sal teruggaan en aandag gee aan dié wat die heilige verbond verlaat. **31** Hy sal leërmagte* uitstuur, en hulle sal die heiligdom^d - die vesting - ontheilig en die gereelde offerande^e verwyder.^e

"En hulle sal die walglike ding wat verwoesting veroorsaak, oprig.^f

32 "En deur middel van vleiende* woorde sal hy dié wat goddeloos teen die verbond optree, afvallig maak. Maar die volk wat hulle God ken, sal oorwin en suksesvol wees. **33** En dié wat onder die volk insig het,^g sal baie mense help om begrip te verkry. En hulle sal 'n aantal dae lank struikel weens die swaard en die vlam, weens gevangenskap en plundering. **34** Maar wanneer hulle struikel, sal hulle 'n bietjie hulp ontvang. En baie sal deur middel van slinkse woorde by hulle aansluit. **35** En party van dié wat insig het, sal struikel, sodat daar weens hulle 'n suiwering en 'n reiniging kan plaasvind,^h tot die tyd van die einde

11:30 *Of "veroordeling". 11:31 *Of "voortdurende kenmerk". 11:32 *Of "valse".

toe. Want dit is vir die vasgestelde tyd.

36 “Die koning sal doen net wat hy wil, en hy sal hoogmoedig optree en homself bo elke god stel. En hy sal skokkende dinge sê teen die God van die gode.^a En hy sal suksesvol wees totdat die veroordeling tot ’n einde kom, want dít waarop besluit is, moet gebeur. **37** Hy sal geen respek hê vir die God van sy vaders nie. En hy sal ook geen respek hê vir die begeerte van vrouens of vir enige ander god nie, maar hy sal homself bo almal stel. **38** Maar hy sal eerder eer gee aan die god van vestings. Aan ’n god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy eer gee deur middel van goud en silwer en edelstene en kosbare dinge. **39** Met* ’n vreemde god sal hy optree teen die sterkste vestings. Hy sal groot eer gee aan dié wat aan hom erkenning gee,[#] en hy sal hulle oor baie laat regeer. En hy sal die grond teen ’n prys uitdelel.

40 “In die tyd van die einde sal die koning van die suide in ’n stotery met hom betrokke raak,* en die koning van die noorde sal hom bestorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe. En hy sal in die lande ingaan en soos vloedwaters daardeur stroom. **41** Hy sal in die Pragtige Land ingaan,^b en baie lande sal verslaan word. Maar Edom en Moab en die ver naamste deel van die Ammoniete sal nie in sy mag* beland nie. **42** Hy sal sy hand teen die lande bly uitsteek, en Egipte sal dit ook nie vryspring nie. **43** En hy sal beheer hê oor die versteekte skatte van goud en sil-

11:39 *Of “Met die hulp van”. [#]Of moontlik “wat hy erken”. **11:40** *Of “met die horings teen hom stoot”. **11:41** *Lett. “hand”.

HFST. 11

a De 10:17
Ps 136:1, 2

b Ps 48:2
Da 8:9
Da 11:16, 45

Tweede kol.

a Ps 48:2
Da 8:9
Da 11:16, 41

HFST. 12

b Da 10:13
Jud 9
Op 12:7, 8

c Da 10:21

d Jes 26:20
Jl 2:31, 32
Mt 24:21, 22
Op 7:13, 14

e Mal 3:16
Lu 10:20
Op 3:5

f Da 8:17, 26
Da 12:9

g Jes 11:9

h Da 10:4

wer en oor al die kosbare dinge van Egipte. En die Libiërs en die Etiopiërs sal hom volg.

44 “Maar berigte uit die ooste* en uit die noorde sal hom ontstel, en hy sal met groot woede uitgaan om te verwoes en om baie te vernietig. **45** En hy sal sy koninklike tente* tussen die groot see en die berg van die Pragtige Land opslaan,^a en hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie.

12 “Gedurende daardie tyd sal Mi’gael*^b opstaan, die groot prins^c wat tot voordeel van jou volk staan. En daar sal ’n moeilike tyd aanbreek soos daar nie was vandat ’n nasie ontstaan het tot op daardie tyd nie. En gedurende daardie tyd sal jou volk gered word,^d elkeen wat in die boek opgeskryf is.^e **2** En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal wakker word – sommige tot die ewige lewe en ander tot skande en ewige verwerping.

3 “En dié wat insig het, sal so helder skyn soos die hemele, en dié wat baie mense help om ’n regverdige weg te volg, sal so helder skyn soos die sterre, vir ewig en altyd.

4 “Hou die woorde geheim, Daniël, en verseël die boek tot die tyd van die einde toe.^f Baie sal dit deeglik ondersoek,* en die ware kennis sal oorvloedig word.”^g

5 Toe het ek, Daniël, twee ander daar sien staan, een op hierdie oewer van die rivier en die ander aan die oorkant van die rivier.^h **6** Toe het een vir die man in linneklere,ⁱ wat bokant die waters van die rivier

11:44 *Of “sonsopkoms”. **11:45** *Of “paleistente”. **12:1** *Beteken “wie is soos God?” **12:4** *Of “sal rondswerf”.

i Da 10:5, 6

was, gevra: “Hoe lank sal dit wees voordat hierdie wonderlike dinge vervul is?” **7** Toe het ek die man in linneklere, wat bokant die waters van die rivier was, hoor praat. Hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgelig en gesweer by die Een wat vir ewig lewe:^a “Dit sal ’n vasgestelde tyd, vasgestelde tye en ’n halwe tyd* wees. Soda die mag van die heilige volk gebreek is,^b sal al hierdie dinge tot ’n einde kom.”

8 Ek het gehoor, maar ek kon nie verstaan nie,^c en daarom het ek gevra: “O my heer, wat sal die uiteinde van hierdie dinge wees?”

9 Toe het hy gesê: “Gaan, Daniël, want die woorde moet geheim gehou word en verseël

12:7 *D.w.s. drie en ’n half tye.

HFST. 12

a Da 4:34

Op 4:9

Op 10:6

b Da 8:24

c Lu 18:34

Han 1:7

1Pe 1:10, 11

Tweede kol.

a Da 8:17, 26

Da 10:14

Da 12:4

b Da 11:35

c Ps 111:10

Da 11:33

Da 12:3

d Da 8:11

e Da 11:31

Mr 13:14

f Joh 11:24

Han 17:31

Han 24:15

Op 20:12

word tot die tyd van die einde toe.^a **10** Baie sal hulle reinig en sal gesuiwer word.^b En die goddeloses sal goddeloos optree, en nie een van die goddeloses sal verstaan nie, maar dié wat insig het, sal verstaan.^c

11 “En van die tyd af dat die gereelde offerande*^d verwyder is en die walglike ding wat verwoesting veroorsaak, opgerig is,^e sal daar 1 290 dae wees.

12 “Gelukkig is die een wat gretig bly wag tot die einde van die 1 335 dae!

13 “Maar jy moet aanhou tot die einde toe. Jy sal rus, maar jy sal opstaan om jou deel te ontvang* aan die einde van die dae.”^f

12:11 *Of “voortdurende kenmerk”.

12:13 *Of “op die plek wat aan jou toegewys is”.

HOSEA

OORSIG

- | | |
|--|--|
| <p>1 Hosea se vrou en haar kinders (1-9)
Jisreël (4), Lo-Ruhama (6) en
Lo-Ammi (9)
Hoop op herstel en eenheid (10, 11)</p> <p>2 Ontroue Israel gestraf (1-13)
Terugbring na Jehovah, haar
man (14-23)
Sy sal Jehovah “My man” noem (16)</p> <p>3 Hosea koop sy ontroue vrou terug (1-3)
Israel sal na Jehovah terugkeer (4, 5)</p> <p>4 Jehovah se regsak teen Israel (1-8)
Geen kennis van God in land (1)
Israel se afgodediens en seksuele
losbandigheid (9-19)
Gees van prostitusie laat hulle
afdwaal (12)</p> <p>5 Oordeel oor Efraim en Juda (1-15)</p> | <p>6 Versoek om na Jehovah terug
te keer (1-3)
Volk se lojale liefde verdwyn gou (4-6)
Lojale liefde beter as offerandes (6)
Volk se skandelige gedrag (7-11)</p> <p>7 Efraim se goddeloosheid beskryf (1-16)
Kan nie uit God se vangnet ontsnap
nie (12)</p> <p>8 Gevolge van afgodediens (1-14)
Saai wind, oes stormwind (7)
Israel het sy Maker vergeet (14)</p> <p>9 God verwerp Efraim weens
sondes (1-17)
Toegewy aan skandelige god (10)</p> <p>10 Israel, slegte wingerdstok, sal
vernietig word (1-15)
Saai en oes (12, 13)</p> |
|--|--|

- | | |
|---|--|
| <p>11 God lief vir Israel vandat hy seun was (1-12)
"Uit Egipte het ek my seun geroep" (1)</p> <p>12 Efraim moet na Jehovah terugkeer (1-14)
Jakob het stryd met God gevoer (3)
Jakob het gesmeek om geseën te word (4)</p> | <p>13 Afvallige Efraim het Jehovah vergeet (1-16)
"Waar is jou angels, o Dood?" (14)</p> <p>14 Versoek om na Jehovah terug te keer (1-3)
Offer lof van ons lippe (2)
Israel se ontrouheid genees (4-9)</p> |
|---|--|

1 Dit is die woord van Jehovah aan Hose'a,* die seun van Beëri. Dit was in die dae van Ussi'a,^a Jotam,^b Agas^c en Hiski'a,^d konings van Juda,^e en in die dae van Jero'beam,^f die seun van Joas,^g die koning van Israel. **2** Toe Jehovah Sy woord deur middel van Hose'a begin bekend maak het, het Jehovah vir Hose'a gesê: "Gaan, trou met 'n vrou van prostitusie* en kry kinders van prostitusie,* want deur prostitusie* het die land heeltemal van Jehovah af weggedraai."^h

3 Toe het hy met Gomer, die dogter van Dibla'im, getrou, en sy het swanger geword en vir hom 'n seun in die wêreld gebring.

4 En Jehovah het vir hom gesê: "Noem hom Jis'reël,* want ek sal die huis van Jehu' binnekort oordeel vir die bloedskuld van Jis'reël, en ek sal 'n einde maak aan die koninklike heerskappy van die huis van Israel." **5** In daardie dag sal ek die boog van Israel in die Jis'reël-vallei breek."

6 Sy het weer swanger ge-

1:1 *Verkorte vorm van Hosaja, wat "gered deur Jah; Jah het gered" beteken. 1:2 *Of "onsedelikheid; seksuele losbandigheid". 1:4 *Betekende "God sal saad saai".

HFST. 1

a 2K 26:1, 3, 4

b 2K 15:32-34

c 2K 16:1-3

d 2K 18:1-3

e Jes 1:1
Mi 1:1

f 2K 14:23, 24
Am 1:1

g 2K 13:10, 11

h De 31:16
Ho 3:1

i 2K 10:29-31

j 2K 15:8, 10

Tweede kol.

a Ho 2:23

b 2K 17:6
2K 17:22, 23

c Ho 11:12

d 2K 19:34, 35

e Jes 37:36

f Ge 13:16
Ge 22:17

g 1Pe 2:10

h Ro 9:25, 26
2Kor 6:18

i Esr 3:1
Jes 11:12
Jer 3:18
Ese 37:19
Mi 2:12

j Ho 2:22

word en aan 'n dogter geboorte gegee. En Hy het vir hom gesê: "Noem haar Lo-Ruha'ma,* want ek sal nie langer genade^a aan die huis van Israel betoon nie. Ek sal hulle beslis wegdryf.^b **7** Maar ek sal genade betoon aan die huis van Juda,^c en ek, Jehovah hulle God,^d sal hulle red. Ek sal hulle nie red met 'n boog of 'n swaard of met oorlog of met perde of met perde-ruiters nie."^e

8 Toe sy opgehou het om Lo-Ruha'ma te borsvoed, het sy swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. **9** En Hy het gesê: "Noem hom Lo-Ammi,* want julle is nie my volk nie, en ek sal nie julle s'n wees nie.

10 "Die Israeliete sal so baie wees soos die sandkorrels van die see, wat nie gemeet of getel kan word nie.^f En op die plek waar daar vir hulle gesê is: 'Julle is nie my volk nie,'^g sal daar vir hulle gesê word: 'Julle is die kinders van die lewende God.'^h

11 En die volk van Juda en van Israel sal verenig wordⁱ en sal vir hulle een hoof kies en hulle sal uit die land wegtrek, want die dag van Jis'reël^l sal 'n groot dag wees.

1:6 *Betekende "iemand aan wie genade nie betoon is nie". 1:9 *Betekende "nie my volk nie".

- 2** "Sê vir julle broers:
'My volk!'"^a
en vir julle susters:
'O vrou aan wie genade
betoon is!'"^b
- 2** Kla julle ma aan, kla
haar aan,
want sy is nie my vrou nie^c
en ek is nie haar man nie.
Sy moet ophou om prosti-
tusie* te beoefen
en egbreuk te pleeg,
- 3** anders sal ek haar kaal uit-
trek en haar maak soos op
die dag toe sy gebore is.
Ek sal haar soos 'n wildernis
maak,
haar in 'n waterlose land
verander
en haar van die dors
laat sterf.
- 4** En aan haar kinders sal ek
nie genade betoon nie,
want hulle is die kinders
van prostitusie.*
- 5** Want hulle ma het prosti-
tusie* beoefen.^d
Die een wat met hulle
swanger was, het haar
skandelik gedra,^e want
sy het gesê:
'Ek sal agter die mans aan-
loop met wie ek 'n seksue-
le verhouding het.'^f
Hulle gee vir my kos en
water,
wol en linne, olie en drank.'
- 6** Daarom sal ek haar pad met
'n doringheining toemaak,
en ek sal 'n klipmuur om
haar bou,
sodat sy nie haar paaie kan
vind nie.
- 7** Sy sal agter die mans aan-
gaan met wie sy 'n seksue-
le verhouding het, maar sy
sal hulle nie inhaal nie.^g

2:1 *Sien Ho 1:9, vtn. ^aSien Ho 1:6, vtn. 2:2, 4, 5 *Of "onsedelikheid; seksuele losbandigheid".

HFST. 2

a Jer 31:33
Ese 36:28
Sag 13:9

b Ho 2:23

c Jer 3:8

d Ese 23:4, 5
Ho 3:1

e Esr 9:6
Da 9:7
Ho 9:10

f Ese 23:7, 8
Ho 8:9

g Jes 31:1
Ho 5:13

Tweede kol.

a Jer 31:18
Ese 23:4
Ho 5:15

b De 32:12-14
Ne 9:25

c De 32:28
Jes 1:3

d Ho 8:4

e Jes 17:11

f Ps 50:22
Ho 5:14

g Am 5:21
Am 8:10

h Rig 3:7
1Kn 16:30-32
2Kn 10:28
Ho 11:2

Sy sal hulle soek, maar
hulle nie vind nie.

Dan sal sy sê: 'Ek sal terug-
gaan na my eerste man,^a
want dit het toe beter met
my gegaan as nou.'^b

8 Sy het nie erken dat dit
ek was wat vir haar die
graan,^c die nuwe wyn en
die olie gegee het nie.

En ek het vir haar silwer
in oorvloed gegee,
en ook goud, wat hulle vir
Baäl gebruik het.^d

9 'Daarom sal ek teruggaan
en my graan wegneem
wanneer dit oestyd is,
en my nuwe wyn wanneer
dit die tyd is daarvoor.^e
Ek sal my wol en my linne
wegvat wat haar naakt-
heid moes bedek.

10 En ek sal haar geslagsdele
ontbloot voor die mans
met wie sy 'n seksuele
verhouding het,
en niemand sal haar uit my
hand red nie.^f

11 Ek sal 'n einde maak aan
al haar vreugde,
haar feeste,^g haar nuwe-
mane, haar sabbatte en
al haar feestye.

12 En ek sal haar wingerdstok-
ke en haar vyebome ver-
woes, waarvan sy gesê het:
"Dit is my loon, wat ek gekry
het by die mans met wie
ek 'n seksuele verhouding
het."

Ek sal dit in 'n woud
verander,
en die wilde diere van die
veld sal dit verslind.

13 Ek sal haar oordeel vir die
dae toe sy offerandes aan
die Baäl-beelde gebring
het,^h

toe sy haar met ringe en ju-
wele versier het en agter
die mans aangeloop het

met wie sy 'n seksuele verhouding gehad het, maar my vergeet het,^a sê Jehovah.

14 'Daarom sal ek haar oorreed.
Ek sal haar na die wildernis lei,
en met haar praat sodat ek haar hart kan wen.

15 En van daardie tyd af sal ek haar wingerde vir haar teruggee,^b
en die Agor-vallei^c sal 'n poort van hoop vir haar wees.

Sy sal my daar antwoord soos in die dae van haar jeug,
soos in die dag toe sy uit Egipte uitgekom het.^d

16 En in daardie dag, sê Jehovah,
'sal jy my "My man" noem, en jy sal my nie meer "My meester"^e noem nie.'

17 'Ek sal die name van die Baäl-beelde uit haar mond verwyder,^e
en hulle name sal nie meer onthou word nie.^f

18 In daardie dag sal ek vir hulle 'n verbond maak met die wilde diere van die veld^g
en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde.^h

Ek sal die boog, die swaard en oorlog uit die land wegneem,ⁱ
en ek sal hulle in veiligheid laat woon.^j

19 Ek sal jou my bruid maak,*
vir ewig,
en ek sal my aan jou verbind* in regverdigheid en in geregtigheid,

2:16 *Of "My Baäl". 2:19, 20 *Lett. "my aan jou verloof".

HFST. 2

a Jes 17:10

b De 30:5
Jes 65:21
Jer 32:15
Ese 28:25, 26
Am 9:14

c Jos 7:24-26
Jes 65:10

d Eks 15:1

e Eks 23:13
Jos 23:6, 7

f Sag 13:2

g Ese 34:25

h Jes 11:6-8

i Jes 2:4
Ese 39:9
Sag 9:10

j Le 26:5, 6
Jer 23:6
Mi 4:3, 4

Tweede kol.

a Mi 7:18

b Jes 54:13
Jer 24:7
Jer 31:34

c De 28:12
Sag 8:12

d Ho 1:11

e Jer 31:27

f Ho 2:1
Ro 9:25, 26
1Pe 2:10

g Ho 1:10

HFST. 3

h Ho 1:2, 3

i De 7:6-8
2Kn 13:23
Ps 106:44, 45

j Rig 10:13
Jer 3:20

in lojale liefde en in genade.^a

20 Ek sal my aan jou verbind*
in getrouheid,
en jy sal Jehovah beslis ken.^b

21 'In daardie dag sal ek antwoord,' sê Jehovah,
'ek sal die hemel antwoord,
en die hemel sal die aarde antwoord,^c

22 en die aarde sal die graan en die nuwe wyn en die olie antwoord,
en hulle sal Jis'reël* antwoord.^d

23 Ek sal haar vir my soos saad op die aarde saai,^e
en ek sal genade betoon aan haar aan wie daar nie genade betoon is nie.*
Ek sal vir dié wat nie my volk is nie,^f sê: "Julle is my volk,"^f
en hulle sal sê: "U is ons God."^g

3 Toe het Jehovah vir my gesê: "Gaan weer, gaan na die vrou wat 'n ander man se liefde ontvang en wat egbreuk pleeg^h en wees lief vir haar, net soos Jehovah die Israeliete liefhet/terwyl hulle ander gode aanbid/ en lief is vir rosynekoek."^h

2 Toe het ek haar vir my gekoop vir 15 silwerstukke en een en 'n half homer* gars. **3** En ek het vir haar gesê: "Jy sal baie dae myne bly. Jy mag nie prostitusie* beoefen nie, en jy mag nie seksuele omgang met 'n ander man hê nie, en ek sal ook so teenoor jou optree."^h

2:22 *Betenen "God sal saad saai". 2:23 *Sien Ho 1:6, vtn. *Sien Ho 1:9, vtn. 3:1 *D.w.s. rosynekoek wat in valse aanbidding gebruik is. 3:2 *'n Homer was gelyk aan 220 l. Sien Aanh. B14. 3:3 *Of "onsedelikheid; seksuele losbandigheid". *Of "ek sal nie seksuele omgang met jou hê nie".

4 Want die Israëliete sal vir 'n lang tyd nie 'n koning,^a leiers, offerandes, pilare of 'n efod^b en terafim-beelde^c hê nie. 5 Daarna sal die Israëliete terugkom en Jehovah hulle God^d en Dawid hulle koning^e soek. En aan die einde van die dae sal hulle na Jehovah toe kom omdat hulle hom vrees en omdat hulle sy goedheid wil ontvang.^f

4 Luister na wat Jehovah sê, o Israel, want Jehovah het 'n regspraak teen die inwoners van die land^g

omdat daar geen waarheid of lojale liefde of kennis van God in die land is nie.^h

2 Valse ede, leuens,ⁱ moord,^j diefstal en egbreuk^k is iets algemeens, en mense hou aan om ander dood te maak.^l

3 Daarom sal die land treur,^m en al die inwoners sal wegteer.

Die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, en selfs die visse van die see sal vergaan.

4 "Laat niemand teen jou stry of jou teregwys nie,ⁿ want jy is soos iemand wat teen 'n priester stry.^o

5 Daarom sal jy in die dag struikel, en die profeet sal saam met jou struikel, asof dit nag is.

En ek sal jou ma vernietig.*

6 My volk sal vernietig* word omdat hulle my nie ken nie.

Omdat jy kennis verwerp het,^p

sal ek jou ook verwerp sodat jy nie as my priester sal dien nie.

3:4 *Of "huisgode; afgode". 4:5 *Of "stilmaak". 4:6 *Of "stiligemaak".

HFST. 3

a 2Kn 17:6
2Kn 18:9, 10

b Rig 8:27

c Rig 17:5
1Sa 19:15, 16

d Jer 50:4

e Jer 30:9
Ese 34:23, 24
Ese 37:24, 25
Am 9:11
Lu 1:31-33

f De 4:30

HFST. 4

g Mi 6:2

h Mi 7:2

i Ho 11:12

j 1Kn 21:18, 19

k Ese 23:37

l Ho 1:4
Ho 6:8, 9

m Am 8:7, 8

n Am 5:10, 13

o De 17:12

p Jer 2:8

Tweede kol.

a 2Kn 17:15, 16

b Esr 9:6, 7

c Am 3:1, 2

d Le 26:26
Mi 6:14

e Ho 9:11, 12

f Spr 20:1
Spr 23:31, 33
Jes 28:7

g Jer 3:6

En omdat jy die wet* van jou God vergeet het,^a sal ek jou kinders vergeet.

7 Hoe meer hulle geword het, hoe meer het hulle teen my gesondig.^b

Ek sal hulle heerlikheid in skande verander.*

8 Hulle voed hulle met die sondes* van my volk, en hulle wag gretig dat hulle moet oortree.

9 Dit sal met die volk gaan soos met die priester. Ek sal hulle oordeel vir hulle optrede,

en ek sal hulle die gevolge van hulle dade laat dra.^c

10 Hulle sal eet, maar nie versadig raak nie.^d Hulle sal hoereer,* maar hulle sal nie meer word nie,^e

omdat hulle geen respek vir Jehovah het nie.

11 Prostitusie* en wyn en nuwe wyn neem die begeerte weg om te doen wat reg is.^f

12 My volk vra hulle hout-afgode vir raad, en doen wat hulle staf* vir hulle sê om te doen.

Die gees van prostitusie^g laat hulle afdwaal, en weens hulle prostitusie^h weier hulle om hulle aan God te onderwerp.

13 Op die bergtoppe bring hulle offerandes,^g

4:6 *Of "onderrigting". 4:7 *Of moontlik "Hulle het my heerlikheid vir skande verruil". 4:8 *D.w.s. met die offerandes wat hulle moet offer vir hul sondes. 4:10 *Of "seksueel losbandig wees; prostitusie beoefen". 4:11 *Of "Onsedelikheid; Seksuele losbandigheid". 4:12 *Of "waarsêerstaf". ^gOf "onsedelikheid; seksuele losbandigheid".

en op die heuwels laat hulle offerrook opgaan, onder eikebome en storaksbome en elke groot boom,^a omdat daar goeie skaduwee is. Daarom beoefen julle dogters prostitusie* en pleeg julle skoondogters egbreuk.

14 Ek sal julle dogters nie oordeel weens hulle prostitusie,* of julle skoondogters weens hulle egbreuk nie. Want die mans gaan saam met die hoere en bring offerandes saam met die tempelprostitute. So 'n volk wat geen verstand het nie,^b sal tot 'n val kom.

15 Hoewel jy prostitusie* beoefen, o Israel,^c moet Juda nie skuldig word nie.^d Moenie na Gilgal^e of na Bet-Awen^f kom nie, en moenie sweer: 'So waar as wat Jehovah lewe!' nie.^g

16 Want soos 'n hardkoppige koei het Israel hardkoppig geword.^h Sal Jehovah hulle nou soos 'n jong ram in 'n oop weiveld laat wei?

17 E'fraim het hom verbind aan afgode.ⁱ Los hom uit!

18 Wanneer hulle bier* op is, hoereer hulle.[#] En sy heersers is baie lief vir skande.^j

19 Die wind sal hom wegwaai, en hulle sal skaam wees oor hulle offerandes."

4:13-15; 5:4 *Of "onsedelikheid; seksuele losbandigheid". **4:18** *Of "koringbier". [#]Of "is hulle seksueel losbandig; beoefen hulle prostitusie".

HFST. 4

a 2Kn 17:10-12
Jer 2:20
Ese 20:28

b Jer 4:22

c Ese 23:4, 5

d 2Kn 17:18

e Ho 9:15
Ho 12:11
Am 4:4

f Ho 5:8
Ho 10:5

g Jes 48:1
Jer 5:2
Ese 20:39

h Ps 78:8
Ps 81:11, 12
Sag 7:11, 12

i Ho 11:2
Ho 13:1, 2

j Mi 7:3

Tweede kol.

HFST. 5

a Ho 4:9

b Rig 4:6
Jer 46:18

c Ese 23:4, 5
Ho 4:17, 18

d Ho 4:12
Am 2:7

e Jes 9:9, 10
Ho 7:10

f 2Kn 17:19, 20
Ese 23:30, 31
Am 2:4, 5

g Jes 1:15
Mi 3:4

h Jes 48:8
Jer 3:20

5 "Luister hierna, o priesters,^a skenk aandag, o huis van Israel, let op, o huis van die koning, want die oordeel het met julle te doen. Want julle is 'n strik vir Mispa en 'n vangnet wat oor Tabor uitgesprei is.^b

2 En dié wat afvallig geword het,* maak op groot skaal dood,[#] en ek waarsku hulle almal.^Δ

3 Ek ken E'fraim, en Israel kan nie vir my wegkruip nie.

Want jy, o E'fraim, het gehoereer.* Israel het homself onrein gemaak.^c

4 Hulle dade laat hulle nie toe om na hulle God terug te keer nie, omdat daar 'n gees van prostitusie* onder hulle is,^d

en hulle erken Jehovah nie. **5** Israel se trots getuig teen hom.^e

Israel sowel as E'fraim struikel deur hulle oortreding. En Juda struikel saam met hulle.^f

6 Met hulle kleinvee en hulle beeste het hulle Jehovah gaan soek, maar hulle kon hom nie vind nie. Hy het hulle verlaat.^g

7 Hulle was ontrou aan Jehovah,^h want hulle het die pa geword van uitlandse kinders.

5:2 *Of "die opstandiges". [#]Dit kan na mense of diere verwys. ^ΔOf "ek sal hulle almal dissiplineer". **5:3** *Of "was seksueel losbandig; het prostitusie beoefen".

Nou sal hulle en hulle eien-
dom* binne 'n maand
verwoes word.[#]

- 8** Blaas 'n horing^a in Gi'bea,
'n trompet in Rama!^b
Roep 'n oorlogskreet uit in
Bet-Awen^c – ons is agter
jou, o Benjamin!
- 9** O E'fraim, op die dag van
straf sal jy iets skokkends
word.^d
Ek het bekend gemaak wat
vir seker met die stamme
van Israel sal gebeur.
- 10** Die leiers van Juda is soos
dié wat 'n grens verskuif.^e
Ek sal my woede soos water
oor hulle uitstort.
- 11** E'fraim word onderdruk,
deur die oordeel ver-
pletter,
want hy was vasbeslote om
agter sy vyand aan te
loop.^f
- 12** Daarom was ek soos 'n mot
vir E'fraim
en soos verrotting vir die
huis van Juda.
- 13** Toe E'fraim sy siekte gesien
het, en Juda sy sweer,
het E'fraim na Assi'rië ge-
gaan^g en boodskappers na
'n groot koning gestuur.
Maar hy kon julle nie genees
nie,
en hy kon nie julle sweer
gesond maak nie.
- 14** Want ek sal soos 'n
jong leeu* teenoor E'fraim
wees,
en soos 'n sterk leeu teen-
oor die huis van Juda.
Ek sal verskeur en
weggaan.^h
Ek sal hulle wegdra, en nie-
mand sal hulle red nie.ⁱ

5:7 *Of "landerye". [#]Of moontlik
"Nou sal 'n maand hulle en hulle eien-
dom verwoes". 5:14 *Of "jong maan-
haarleeu".

HFST. 5

a Ho 8:1

b Jes 10:29

c Ho 4:15
Ho 10:5

d Jes 28:1-3
Ho 9:13

e De 19:14

f 1Kn 20:1

g Ho 8:9
Ho 12:1

h Ps 50:22

i Am 2:14

Tweede kol.

a Le 26:38, 40

b De 4:29, 30
De 30:10

HFST. 6

c Ho 5:14

d Jes 58:1
Jer 1:9, 10
Ese 3:8, 9

e Jer 23:29

f Sef 3:5

g 1Sa 15:22
Spr 21:3
Jes 1:11
Mi 6:6-8
Mt 9:13
Mt 12:7

h 2Kn 17:15
Jes 24:5
Ho 8:1

- 15** Ek sal weggaan en na my
plek terugkeer totdat hul-
le die gevolge van hulle
skuld dra,
en dan sal hulle my goed-
keuring soek.^a
Wanneer hulle swaarkry,
sal hulle my soek."^b

- 6** "Kom, en laat ons na
Jehovah terugkeer,
want hy het ons verskeur,^c
maar hy sal ons genees.
Hy het ons geslaan, maar hy
sal ons wonde verbind.
- 2** Hy sal ons ná twee dae
lewend maak.
Op die derde dag sal hy ons
laat opstaan,
en ons sal voor hom lewe.
- 3** Ons sal Jehovah ken, ons
sal alles in ons vermoë
doen om hom te leer ken.
Sy koms is so seker soos
die sonsopkoms.
Hy sal soos 'n stortreën
na ons toe kom,
soos 'n lentreëen wat die
aarde natmaak."
- 4** "Wat moet ek met jou doen,
E'fraim?
Wat moet ek met jou doen,
Juda?
Want julle lojale liefde is
soos die oggendwolke,
soos die dou wat gou
verdwyn.
- 5** Daarom sal ek hulle deur
middel van my profete
afkap.^d
Ek sal hulle met die woorde
van my mond doodmaak.^e
En die oordele oor jou sal
skyn soos die lig.^f
- 6** Want ek is liever vir lojale
liefde* as vir offerandes
en vir die kennis van God as
vir heelbrandoffers.^g
- 7** Maar hulle het, soos blote
mense, die verbond ver-
breek.^h

6:6 *Of "genade".

Daar het hulle ontrou aan my geword.

8 Gi'lead is 'n stad vol slegte mense,^a
'n stad vol bloed.^b

9 Die groep priesters is soos rowerbendes wat mense voorlê.

Hulle pleeg moord op die pad na Sigem,^c
want hulle gedrag is skandelik.

10 Ek het iets aakligs in die huis van Israel gesien.

E'fraim beoefen daar prostitusie.^d

Israel het homself onrein gemaak.^e

11 En vir jou, o Juda, is 'n oes vasgestel,
wanneer ek die gevangenes van my volk laat terugkeer."^f

7 "Wanneer ek Israel wil genees,
kom die oortreding van E'fraim^g
en die goddeloosheid van Samari'a^h ook aan die lig.
Want hulle tree bedrieglik op.ⁱ

Diewe breek in, en buite val rowerbendes mense aan.^j

2 Maar hulle dink nie daaraan* dat ek al hulle goddeloosheid sal onthou nie.^k

Nou is hulle omring deur hulle dade.

Dit is oop en bloot voor my.

3 Hulle maak die koning bly met hulle goddeloosheid,
en hulle maak leiers bly met hulle leuens.

4 Hulle is almal egbrekers.
Hulle brand soos 'n oond wat deur 'n bakker aange-
steek is

en wat nie gestook word vandat die deeg geknie is totdat dit uitgerys het nie.

7:2 *Lett. "sê nie in hulle hart".

HFST. 6

a Ho 12:11

b Mi 7:2

c 1Kn 12:25

d 2Kn 17:6, 7
Jer 3:6

e Ese 23:4, 5

f De 30:3
Jer 29:14
Am 9:14

HFST. 7

g Jes 28:1

h Am 8:14
Mi 1:5

i Mi 7:3

j Ho 6:9

k De 32:29
Jes 1:3
Am 8:7

Tweede kol.

a Jes 5:11
Jes 28:1

b 2Kn 15:8, 10
2Kn 15:14

c Jes 9:13

d Ps 106:34-36
Ese 23:4, 5

e 2Kn 13:3
2Kn 15:19

f Ho 5:5

g Ne 9:35
Jes 9:13
Am 4:6
Sag 1:4

h Jes 1:3

i 2Kn 17:4
Jes 31:1

j 2Kn 15:19
Ese 23:4, 5

5 Op die dag van ons koning het leiers siek geword – hulle is kwaad weens wyn.^a

Hy het sy hand na spotters uitgesteek.

6 Want hulle kom nader met harte wat soos 'n oond brand.*

Die bakker slaap die hele nag,

en in die oggend brand die oond soos 'n vlammeende vuur.

7 Hulle is almal so warm soos 'n oond,
en hulle verteer hulle heersers.*

Al hulle konings het geval.^b
Nie een van hulle roep na my nie.^c

8 E'fraim meng met die nasies.^d

E'fraim is soos 'n ronde brood* wat nie omgedraai is nie.

9 Vreemdelinge het hom van sy krag beroof,^e maar hy weet dit nie.

En sy grys hare het wit geword, maar hy kom dit nie agter nie.

10 Israel se trots getuig teen hom,^f

maar hulle het nie na Jehovah hulle God teruggekeer nie,^g

en ten spyte van alles het hulle hom nie gesoek nie.

11 E'fraim is soos 'n dom duif, sonder verstand.^h

Hulle het na Egipte uitgeroep.ⁱ Hulle het na Assirië gegaan.^j

12 Waar hulle ook al gaan, sal ek my vangnet oor hulle uitsprei.

7:6 *Of moontlik "Want hulle harte is soos 'n oond wanneer hulle met hulle slinkse planne nader kom". 7:7 *Lett. "regters". 7:8 *Lett. "koek".

Ek sal hulle laat val soos die voëls van die hemel.

Ek sal hulle straf volgens die waarskuwing wat ek aan hulle gegee het.^a

- 13** Dit sal sleg gaan met hulle, want hulle het van my af weggevlug!

Laat hulle vernietig word, want hulle het teen my gesondig!

Ek was gereed om hulle te verlos, maar hulle het leuens oor my vertel.^b

- 14** Hulle het nie met 'n opregte hart na my geroep om hulle te help nie,^c

hoewel hulle op hulle beddens gelê en huil het.

Hulle het hulleself gesny vir graan en nuwe wyn.

Hulle draai teen my.

- 15** Al het ek hulle gedissiplineer en hulle* sterk gemaak,

is hulle teen my en beplan hulle slegte dinge.

- 16** Hulle het 'n ander weg ingeslaan, maar nie 'n beter weg nie.*

Hulle was so onbetroubaar soos 'n slap boog.^d

Hulle leiers sal deur die swaard doodgemaak word weens hulle opstandige woorde.

Daarom sal hulle 'n bespotting in Egipte wees.^e

- 8** "Blas op 'n horing!^f Iemand kom soos 'n arend teen die huis van Jehovah,^g

want hulle het my verbond verbreek^h en my wet oortree.ⁱ

- 2** Hulle roep na my: 'My God, ons, Israel, ken ul!'^j

HFST. 7

a De 28:15
2Kn 17:13

b Jes 59:13

c Ps 78:37
Jes 29:13

d Ps 78:57

e Ese 36:19, 20
Ho 9:3

HFST. 8

f Ho 5:8

g De 28:49, 50

h Ho 6:7

i 2Kn 17:15

j Jes 48:1
Mi 3:11

Tweede kol.

a Ps 50:17

b 1Kn 12:26, 28
Ho 13:2

c 1Kn 13:34

d Ho 10:5, 6

e De 32:21, 22
2Kn 17:18

f Spr 22:8

g Jes 17:11

h De 28:15, 33

i 2Kn 15:29
2Kn 18:11
Jer 50:17

j Le 26:33

k 2Kn 15:19
Ese 23:4, 5
Ho 5:13
Ho 12:1

l Ese 23:9

- 3** Israel het verwerp wat goed is.^a

Laat 'n vyand hom agtervolg.

- 4** Hulle het konings aangestel, maar nie deur my nie.

Hulle het leiers aangestel, maar ek het hulle nie goedgekeur nie.

Met hulle silwer en hulle goud het hulle afgode gemaak,^b

en dit sal tot hulle vernietiging lei.^c

- 5** Jou kalf is verwerp, o Samari'a.^d

Ek word woedend vir hulle.^e

Sal hulle dit nooit regkry om onskuldig* te wees nie?

- 6** Want dit kom uit Israel. 'n Ambagsman het dit gemaak, en dit is nie God nie.

Van die kalf van Samari'a sal daar net splinters oorbly.

- 7** Want hulle saai wind, en hulle sal 'n stormwind oes.^f

Die are bring nie ryp graan voort nie,^g

en daar is nie korrels waarvan meel gemaak kan word nie.

As dit wel iets voortbring, sal uitlanders* dit eet.^h

- 8** Israel sal ingesluk word.ⁱ

Hulle sal onder die nasies wees^j

soos 'n houer wat niemand wil hê nie.

- 9** Want hulle het na Assi'rië gegaan,^k soos 'n eensame wildedonkie.

E'fraim het prostitute gehuur om vir hulle lief te wees.^l

7:15 *Lett. "hulle arms". 7:16 *D.w.s. nie 'n verhewe vorm van aanbidding nie.

8:5 *Of "rein". 8:7 *Of "vreemde-linge".

- 10** Al huur hulle prostitute onder die nasies, sal ek hulle nou bymekaar maak.
Hulle sal swaarkry^a weens die las wat die koning en leiers op hulle plaas.
- 11** Want E'fraim het baie altare gemaak en so gesondig,^b Dit het die altare geword waarop hy gesondig het.^c
- 12** Ek het vir hom baie wette* neergeskryf, maar hy het dit as iets vreemds beskou.^d
- 13** Hulle bring offerandes aan my, en hulle eet die vleis, maar Jehovah keur nie hulle offerandes goed nie.^e
Hy sal aan hulle oortreding dink en hulle straf vir hulle sondes.^f
Hulle het na Egipte teruggekeer.^g
- 14** Israel het sy Maker vergeet^h en tempels gebou,ⁱ en Juda het sy versterkte stede meer gemaak.^j
Maar ek sal vuur na sy stede stuur, en dit sal die torings van elke stad verteer.^k
- 9** "Moenie bly wees nie, o Israel.^l
Moenie vreugdevol wees soos die volke nie.
Want deur prostitusie* het jy jou God verlaat.^m
Op elke dorsvloer het jy die loon van 'n prostituut liefgehad.ⁿ
- 2** Maar die dorsvloer en wynpers sal hulle nie voed nie, en daar sal geen nuwe wyn vir haar wees nie.^o
- 3** Hulle sal nie in die land van Jehovah bly woon nie.^p

8:12 *Of "onderrigting". **8:13** *Of moontlik "Hulle sal na Egipte terugkeer". **9:1** *Of "onsedelikheid; sek-suele losbandigheid".

HFST. 8

- a 2Kn 14:26
1Kr 5:26
- b Jes 10:10, 11
- c Ho 12:11
- d 2Kn 17:15
Ne 9:26
- e Jes 1:11
Am 5:22
- f Ho 9:9
Am 8:7
- g Ho 7:16
Ho 9:3
- h De 32:18
- i 1Kn 12:25, 31
- j 2Kr 26:9, 10
- k 2Kn 18:13
2Kr 36:17, 19
Jer 17:27
Jer 34:7

HFST. 9

- l Ho 10:5
- m Ese 23:4, 5
Ho 4:12
- n Ho 2:12
Mi 1:7
- o Ho 2:8, 9
Am 5:11
- p Le 20:22
De 28:63, 64
Jos 23:15, 16
1Kn 9:6, 7

Tweede kol.

- a 2Kn 17:6
- b Nu 15:5
Nu 28:14
Jl 1:13
- c Jes 1:11
- d Ho 7:13
- e Ho 7:16
Ho 8:13
- f Jer 2:14, 16
- g Jes 10:3
- h Jes 21:6, 8
Jer 6:17
Ese 33:7
- i 1Kn 17:1
2Kn 2:14
- j 1Kn 18:19

E'fraim sal na Egipte terugkeer, en in Assirië sal hulle eet wat onrein is.^a

- 4** Hulle sal nie meer wyn aan Jehovah offer nie.^b
Hy sal nie hulle offerandes goedkeur nie.^c
Dit is soos kos wat in 'n tyd van rou geëet word, en almal wat dit eet, sal onrein word.
Want hulle kos is net vir hulle, dit sal nie in die huis van Jehovah ingebring word nie.
- 5** Wat sal julle doen op die dag dat julle bymekaar moet kom,^d op die dag van die fees van Jehovah?
- 6** Want kyk! hulle sal weens die vernietiging moet vlug.^d
Egipte sal hulle bymekaar maak,^e en Memfis sal hulle begrawe.^f
Brandnetels sal hulle kosbare skatte van silwer toegroei, en doringbosse sal in hulle tente wees.
- 7** Die dae van oordeel sal kom,^g die dae van straf sal kom, en Israel sal dit weet.
Hulle profeet sal 'n dwaas wees, en die man wat sê dat hy onder inspirasie praat, sal mal word.
Want die vyandigheid teenoor jou is groot omdat jou oortreding groot is."
- 8** Die wag^h van E'fraim was by my God.ⁱ
Maar nou is al die weë van sy profete/ soos die valstrikke van 'n voëlvanger.
- 9:5** *Of "dag van julle vasgestelde fees".

Daar is vyandigheid in die huis van sy God.

- 9** Hulle het baie sleg geword, soos in die dae van Gi'bea.^a
Hy sal aan hulle oortreding dink en hulle vir hulle son-des straf.^b
- 10** "Soos druiwe in die wilder-nis het ek Israel gevind.^c
Soos die eerste vroeë vye aan 'n vyeboom het ek jul-le voorvaders gesien.
Maar hulle het na Baäl van Peor gegaan.^d
Hulle het hulle aan die skan-delike ding* toegewy^e en walglik geword soos die ding waarvoor hulle lief is.
- 11** E'fraim se heerlikheid vlieg weg soos 'n voël.
Daar is geen geboorte, geen swangerskap en geen be-vrugting nie.^f
- 12** Selfs al maak hulle kinders groot,
sal ek hulle kinders van hul-le wegneem totdat daar niemand oor is nie.^g
Ja, dit sal sleg gaan met hulle wanneer ek hulle verlaat!^h
- 13** E'fraim, wat in 'n weiveld geplant is, was vir my soos Tirus.ⁱ
Nou moet E'fraim sy seuns uitbring om doodgemaak te word."
- 14** O Jehovah, gee hulle wat u hulle moet gee.
'n Baarmoeder wat miskra-me het en borste wat droog is.
- 15** "Al hulle goddeloosheid was in Gilgal,^j en daar het ek hulle begin haat.
Weens hulle slegte dade sal ek hulle uit my huis jaag.^k
Ek sal hulle nie meer liefhê nie.^l

9:10 *Of "skandelige god".

HFST. 9

- a Rig 19:22
Rig 20:4-6
Ho 10:9
- b Ho 8:13
- c Jer 2:2
- d Nu 25:1-3
De 4:3
Ps 106:28
- e 1Kn 16:31
Jer 11:13
- f De 28:15, 18
- g De 28:32
De 32:25
- h De 31:17
2Kn 17:18
- i Ese 28:12
- j Ho 4:15
Ho 12:11
Am 5:5
- k Le 26:27, 33
2Kn 17:18
Am 5:27
- l De 29:19, 20

Tweede kol.

- a Jes 7:8
- b 2Kn 17:14, 15
Sag 1:4
- c De 28:64
Am 9:9

HFST. 10

- d Jes 5:3, 4
- e Ho 8:11
Ho 12:11
- f Ho 8:4
- g Ho 3:4
Ho 13:11
- h 2Kn 17:4
- i Am 5:7
Am 6:12
- j 1Kn 12:28, 29
Ho 4:15
Ho 8:5
Am 3:14

Al hulle leiers is hard-koppig.

- 16** E'fraim sal soos 'n boom afgekap word.^a
Hulle wortel sal verdroog, en hulle sal geen vrugte voortbring nie.
Selfs as hulle geboorte gee, sal ek hulle geliefde nage-slag doodmaak."
- 17** My God sal hulle verwerp, want hulle het nie na hom geluister nie.^b
En hulle sal vlugtelinge onder die nasies word.^c

10 "Israel is 'n slegte wingerdstok* wat sy vrugte dra.^d

Hoe meer vrugte hy dra, hoe meer altare maak hy.^e
Hoe groter sy land se oeste is, hoe mooier maak hy sy heilige pilare.^f

2 Hulle hart is skynheilig.*
Nou sal hulle skuldig bevind word.

Daar is iemand wat hulle altare sal afbreek en hulle pilare sal vernietig.

3 Nou sal hulle sê: 'Ons het nie 'n koning nie,^g want ons het Jehovah nie gevrees nie.
En wat sou 'n koning vir ons kon doen?'

4 Leë woorde kom uit hulle mond, hulle lê valse ede af^h en maak verbonde.

Die oordele wat hulle in 'n regsak lewer, is soos giftige onkruid in die vore van landerye.ⁱ

5 Die inwoners van Samari'a sal besorg wees oor die afgodskalf van Bet-Awen.^j
Die volk sal oor hom treur, en so ook die priesters van vreemde gode wat bly was oor hom en sy heerlikheid,

10:1 *Of moontlik "'n wingerdstok wat uitsprei". 10:2 *Of "glibberig; glad".

want hy sal van hulle wegge-
neem word en in balling-
skap gaan.

- 6** Dit sal na Assi'rië gebring
word as 'n geskenk vir
'n groot koning.^a
E'fraim sal verneder word,
en Israel sal skaam kry
weens die raad wat hy
gevolg het.^b
- 7** Samari'a en haar koning
sal beslis aan hulle einde
kom,^{*c}
soos 'n afgebreekte takkie
op die water.
- 8** Die offerhoogtes van Bet-
Awen,^d waar Israel geson-
dig het,^e sal vernietig
word.^f
Dorings en dissels sal op
hulle altare groei.^g
Mense sal vir die berge sê:
'Bedek ons!'
en vir die heuwels: 'Val op
ons!'^h
- 9** Sedert die dae van Gi'bea
het jy gesondig,ⁱ o Israel.
Daar het hulle aanhou
sondig.
In Gi'bea het oorlog nie
die kinders van onreg-
verdigheid heeltemal
vernietig nie.*
- 10** Ek sal hulle ook dissipleneer
wanneer ek wil.
En volke sal beslis teen
hulle bymekaargebring
word
wanneer hulle twee oortred-
ings aan hulle vasgebind
word.*
- 11** E'fraim was 'n opgeleide
jong koei wat daarvan ge-
hou het om graan te dors.
Daarom het ek haar mooi
nek gespaar.

10:7, 15 *Lett. "stilgemaak word".
10:9 *Of "ingehaal nie". **10:10**
*D.w.s. wanneer hulle hulle straf dra
soos 'n juk.

HFST. 10

a 2Kn 17:3
Ho 5:13

b Mi 6:16

c 2Kn 17:4

d Ho 4:15

e 1Kn 12:28-30
Mi 1:5

f Am 7:9

g 2Kn 23:15

h Lu 23:30
Op 6:16

i Rig 20:4-6
Ho 9:9

Tweede kol.

a 2Kn 17:6

b Jer 4:3, 4

c Jes 55:6
Am 5:4

d De 32:2
Jes 45:8

e Spr 22:8
Ho 8:7
Ga 6:7

f 2Kn 18:9,10

g Am 7:9

h 2Kn 18:9,10

HFST. 11

i De 7:8

j Eks 4:22
Mt 2:14, 15

k Jes 30:9-11

l Rig 2:13
Rig 3:7
1Kn 16:30-32
1Kn 18:19
2Kn 17:13, 16
Ho 2:13

Nou sal ek iemand op
E'fraim laat ry.^{*a}

Juda sal ploeg. Jakob sal
die grond gelykmaak.

- 12** Saai vir julle saad in regver-
digheid en oes lojale liefde.
Ploeg vir julle bewerkbare
grond^b
terwyl daar nog tyd is om
Jehovah te soek,^c
totdat hy kom en julle in
regverdigheid onderrig.^d
- 13** Maar julle het goddeloos-
heid geploeg.
Julle het onregverdigheid
geoes^e
en die vrug van bedrog
geëet.
Want julle het op julleself
vertrou,
op julle groot aantal
vegters.
- 14** Oorlogsgeraas sal teen
jou volk kom,
en al jou versterkte stede
sal verwoes word,^f
soos die verwoesting deur
Salman van die huis van
Arbel,
op die dag van oorlog toe
ma's saam met hulle kin-
ders verpletter is.
- 15** Dit is wat met jou sal gebeur,
o Bet-El,^g weens jou groot
goddeloosheid.
Met dagbreek sal die koning
van Israel beslis aan sy
einde kom.^{**h}
- 11** "Toe Israel 'n seun was,
het ek hom liefgehad,ⁱ
en uit Egipte het ek my seun
geroep.^j
- 2** Hoe meer hulle geroep is,^{*}
hoe meer het hulle wegge-
gaan.^k
Hulle het aangehou om aan
die Baäl-beelde te offer^l
- 10:11** *Of "Nou sal ek Efraim inspan".
11:2 *D.w.s. deur profete en ander wat
gestuur is om Israel te onderrig.

en om offerandes aan die afgodsbeelde te bring.^a

- 3** Maar dit was ek wat E'frain geleer het om te loop^b en hulle in my arms geneem het.^c

En hulle het nie erken dat ek hulle genees het nie.

- 4** Met die toue van die mens* het ek hulle bly trek, met die koorde van liefde.^d

En ek was vir hulle soos iemand wat 'n juk van hulle kakebene aflig, en met groot sorg het ek vir elkeen kos gebring.

- 5** Hulle sal nie na Egipte terugkeer nie, maar Assi'rië sal hulle koning wees,^e omdat hulle geweier het om na my toe terug te keer.^f

- 6** En 'n swaard sal deur sy stede gaan^g en sy grendels vernietig en verslind weens hulle goddelose planne.^h

- 7** My volk is vasbeslote om ontrou aan my te wees.ⁱ Al word hulle boontoe* geroep, staan niemand op nie.

- 8** Hoe kan ek jou laat gaan, o E'frain?^j

Hoe kan ek jou oorlewer, o Israel?

Hoe kan ek jou soos Adma behandel?

Hoe kan ek jou soos Sebo'-jim^k maak?

Ek het van gedagte ver- ander,

en ek voel baie jammer vir julle.^l

- 9** Ek sal nie aan my brandende woede uiting gee nie.

Ek sal E'frain nie weer vernietig nie,^m

HFST. 11

a 1Kn 12:32, 33
Ho 13:1, 2

b De 8:2

c De 1:31
De 33:27
Jes 46:3

d Jes 63:9

e 2Kn 17:3

f 2Kn 17:13, 14
Am 4:6

g Le 26:31

h Jes 31:1

i Ps 78:57, 58
Jer 3:6

j Ho 6:4

k Ge 10:19
De 29:22, 23

l De 32:36
Jer 31:20

m Jer 30:11

Tweede kol.

a Jl 3:16

b Sag 8:7

c Jes 11:11, 12
Jes 60:8, 9
Sag 10:10

d Jer 23:6
Ese 28:25, 26
Ese 37:21
Am 9:14

e Mi 6:12

f 2Kn 18:1, 6
2Kr 29:1, 2
Ho 4:15

HFST. 12

g 2Kn 15:19
Ho 8:9

h 2Kn 17:4

i 2Kn 17:19
Jer 2:35
Ho 4:1
Mi 6:2

j Jes 3:11

k Ge 25:26

l Ge 32:28

m Ge 32:24-26

want ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige by julle.

En ek sal nie in woede teen julle optree nie.

- 10** Hulle sal Jehovah volg, en hy sal soos 'n leeu brul.^a

Wanneer hy brul, sal sy kinders bewend uit die weste kom.^b

- 11** Hulle sal bewend soos 'n voël uit Egipte kom, soos 'n duif uit Assi'rië.^c En ek sal hulle in hulle huise laat woon,^d sê Jehovah.^d

- 12** "E'frain het my omring met leuens, en die huis van Israel met bedrog.^e

Maar Juda volg God nog,^{*} en hy is getrou aan die Allerheiligste."^f

12 "E'frain voed homself met wind.

Hy sit die hele dag die ooste-wind agterna.

Hy laat leuens en geweld meer word.

Hulle maak 'n verbond met Assi'rië^g en neem olie na Egipte.^h

- 2** Jehovah het 'n regspraak teen Juda.ⁱ

Hy sal Jakob oordeel volgens sy optrede, en hy sal hom terugbetaal vir sy dade.^j

- 3** In die baarmoeder het hy sy broer aan die hakskeen gegryp,^k en met al sy krag het hy met God 'n stryd gevoer.^l

- 4** Hy het met 'n engel bly stoei* en die oorhand gekry.

Hy het gehuil en hom gesmeek om hom te seën.^m

Hy het hom by Bet-El ge-

11:4 *Of "die toue van goedhartigheid", soos dié van 'n ouer. 11:7 *D.w.s. na 'n verhewe vorm van aanbid-ding.

11:12 *Of "wandel nog met God". 12:4 *Of "worstel".

vind, en daar het Hy met ons gepraat.^a

- 5 Jehovah, die God van die leërmagte,^b Jehovah is sy gedenknaam.*^c
- 6 “Keer dus terug na jou God,^d hou vas aan lojale liefde en geregtigheid^e en hoop altyd op jou God.
- 7 Maar die handelaar het ’n bedrieglike weegskaal in sy hand.
Hy hou daarvan om te bedrieg.^f
- 8 E’fraim bly sê: ‘Ja, ek het ryk geword.^g
Ek het waardevolle dinge gevind.^h
En in al my harde werk sal hulle niks vind wat verkeer is of sonde is nie.’
- 9 Maar ek is Jehovah jou God van die tyd van Egipte af.ⁱ
Ek sal jou weer in tente laat woon
soos in die dae van ’n vasgestelde tyd.*
- 10 Ek het met die profete gepraat.^j
Ek het hulle meer visioene laat sien,
en ek het deur die profete gelykenisse gegee.
- 11 In G’lead was daar leuens en bedrog.*^k
In Gilgal het hulle bulle geoffer.^l
en hulle altare is soos kliphope in die vore van landerye.^m
- 12 Jakob het na die gebied van Aram* gevlug.ⁿ
Israel^o het daar gewerk om ’n vrou te kry,^p
hy het skape opgepas om ’n vrou te kry.^q

12:5 *Of “is die naam waarmee hy onthou word”. 12:9 *Of moontlik “n fees”. 12:11 *Of “die bonatuurlike; toewery”. 12:12 *Of “Sirie”.

HFST. 12

- a Ge 28:13, 19
b Ge 28:16
Ge 32:30
c Eks 3:15
d Jes 31:6
Ho 14:1
Jl 2:12, 13
e De 16:20
Mi 6:8
f Am 8:5, 6
Mi 2:1, 2
g Op 3:17
h De 8:17-19
i Eks 20:2
Ho 13:4
j 1Kn 17:1
2Kn 17:13
Am 7:14, 15
k Ho 6:8
l Ho 9:15
Am 4:4
m 2Kn 17:9, 10
Ho 8:11
Ho 10:1
n Ge 28:5
De 26:5
o Ge 32:28
p Ge 29:18
q Ge 31:38

Tweede kol.

- a Eks 12:50, 51
Ps 77:20
b Jos 24:17
1Sa 12:8
c 2Kn 17:9-11
Ese 23:4, 5
d De 28:37

HFST. 13

- e Jos 17:17
f 2Kn 17:16
Ho 11:2
g Ho 2:8
h 1Kn 12:26, 28
1Kn 19:18
i Eks 20:2
Ho 12:9
j Jes 43:11
Jes 45:21, 22
k De 2:7
De 32:9, 10
l Ne 9:25
m De 6:10-12
De 8:12-14
De 32:15, 18
Jes 17:10

13 Deur ’n profeet het Jehovah Israel uit Egipte gebring,^a en deur ’n profeet is hy opgepas.^b

14 E’fraim het God grootliks aanstoot gegee.^c
Hy bly bloedskuldig.
Sy Heer sal hom terugbetaal vir die skande wat hy oor Hom gebring het.”^d

13 “Wanneer E’fraim gepraat het, het mense gebewe. Hy was belangrik in Israel.^e Maar hy het hom skuldig gemaak aan Baälaanbidding^f en gesterf.

2 Nou maak hulle hulle sonde nog groter,
en hulle maak metaalbeelde van hulle silwer.^g
Hulle maak afgode met groot vaardigheid, alles soos die handewerk van ambagsmanne.

Hulle sê vir hulle: ‘Laat die mense wat offerandes bring, die kalwers soen.’^h

3 Daarom sal hulle soos oggendwolke word, soos dou wat vroeg verdwyn,
soos kaf wat deur ’n storm van die dorsvloer af weggewaai word
en soos rook uit ’n skoorsteen.

4 Maar ek is Jehovah jou God van die tyd van Egipte af.ⁱ
Jy het geen ander God as ek geken nie,
en daar is geen ander redder as ek nie.^j

5 Ek het jou in die wildernis geken,^k in die land van droogte.

6 Hulle weivelde het hulle versadig.^l
Hulle was versadig, en hulle het trots geword.
Daarom het hulle my vergeet.^m

- 7 Ek sal vir hulle soos 'n jong leeu word,^a soos 'n luiperd wat langs die pad wegkruip.
- 8 Ek sal op hulle afstorm soos 'n beer wat haar kleintjies verloor het, en ek sal hulle borskas oopskeur. Ek sal hulle daar verslind soos 'n leeu. 'n Wilde dier van die veld sal hulle verskeur.
- 9 Dit sal jou vernietig, o Israel, omdat jy teen my, teen jou helper, gedraai het.
- 10 Waar is jou koning dan, so dat hy jou in al jou stede kan red,^b en jou heersers* van wie jy gesê het: 'Gee my 'n koning en leiers?'^c
- 11 In my woede het ek vir jou 'n koning gegee,^d en in my groot woede sal ek hom wegneem.^e
- 12 Die oortreding van E'fraim is opgeteken.* Sy sonde word bewaar.
- 13 Geboortepyne sal oor hom kom. Maar hy is 'n onwyse kind. Hy verskyn nie wanneer dit tyd is om gebore te word nie.
- 14 Uit die mag van die Graf* sal ek hulle loskoop. Uit die dood sal ek hulle verlos.^f Waar is jou angels, o Dood?^g Waar is jou vernietigende krag, o Graf?^h Ek sal nie medelye^g hê nie.
- 15 Al sou hy tussen die riete floreer, sal 'n oostewind kom, die wind van Jehovah.

13:10 *Lett. "rigters". 13:12 *Of "toegebind". 13:14 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. *Sien Woordelys.

HFST. 13

a Ho 5:14

b 1Sa 8:19, 20

c 1Sa 8:4, 5

d 1Sa 8:7

1Sa 12:13

e 1Sa 12:25

2Kn 17:4

Jer 52:11

f Jes 25:8

Jes 26:19

g 1Kor 15:55

h Op 20:13, 14

Tweede kol.

a 2Kn 17:20

b 2Kn 17:18

Am 3:9, 10

c Ese 20:21

d Jes 7:8

HFST. 14

e 2Kr 30:6

Jes 55:6, 7

Ho 12:6

Jl 2:12, 13

f Mi 7:18

g Heb 13:15

h Ho 5:13

i Jes 31:1

j De 10:17, 18

k Ps 103:3

Jes 57:18

l Sef 3:17

m Jes 12:1

Dit kom uit die woestyn om sy put te laat opdroog en sy fontein te laat droogloop.

Dit sal die skatkamer stroop van al sy waardevolle dinge.^a

16 Samari'a sal skuldig bevind word,^b want sy het teen haar God in opstand gekom.^c

Deur die swaard sal hulle doodgemaak word.^d

Hulle kinders sal verpletter word, en hulle swanger vrouens sal opgesny word.^e

14 "Kom terug na Jehovah jou God, o Israel,^e want jy het weens jou oortreding gestruikel.

2 Kom terug na Jehovah, en sê vir hom: 'Vergewe asseblief ons oortreding^f en aanvaar wat goed is, en ons sal die lof van ons lippe offer^g soos ons jong bulle sou offer.

3 Assirië sal ons nie red nie.^h Ons sal nie op perde ry nie,ⁱ en ons sal nie meer vir die werk van ons hande sê: "O ons God!" nie, want u is die Een wat genade aan weeskinders betoon.^j

4 Ek sal hulle ontrouheid genees.^k Ek sal hulle uit vrye wil liefhê,^l want ek is nie meer kwaad vir hom nie.^m

5 Ek sal vir Israel soos dou word.

Hy sal blom soos 'n lylie, en hy sal sy wortels diep afstuur soos die bome van die Li'banon-berge.

6 Sy takkies sal uitsprei, sy prag sal soos dié van 'n olyfboom wees

- en sy geur soos dié van die Li'banon-berge.
- 7 Hulle sal weer in sy skaduwee woon.
Hulle sal met graan boer en sal bot soos 'n wingerdstok.^a
Sy roem sal soos die wyn van die Li'banon wees.
- 8 E'fraim sal sê: 'Wat het ek nog met afgode te doen?'^b
Ek sal antwoord en oor hom waak.^c

HFST. 14

a Sag 8:12

b Ho 14:3

c Jer 31:18

Tweede kol.

a De 32:4

- Ek sal soos 'n groen jenewerboom wees.
Jou vrugte sal van my af kom."
- 9 Wie is wys? Laat hom hierdie dinge verstaan.
Wie is verstandig? Laat hom dit begryp.
Want die weë van Jehovah is reg,^a
en die regverdiges sal dit volg.
Maar die oortreders sal daarop struikel.

JOËL

O O R S I G

- 1 Verskriklike sprinkaanplaag (1-14)
"Dag van Jehovah is naby" (15-20)
Profeet roep tot Jehovah (19, 20)
- 2 Jehovah se dag en sy groot leërmag (1-11)
Versoek om na Jehovah terug te keer (12-17)
"Skeur julle harte" (13)
Jehovah antwoord sy volk (18-32)
'Ek sal my gees uitstort' (28)

Tekens in hemel en op aarde (30)
"Elkeen wat die naam van Jehovah aanroep, sal gered word" (32)

- 3 Jehovah oordeel al die nasies (1-17)
Josafat-vallei (2, 12)
Vallei van oordeel (14)
Jehovah, 'n vesting vir Israel (16)
Jehovah seën sy volk (18-21)

1 Dit is die woord van Jehovah aan Joël,* die seun van Petuel:

- 2 "Luister hierna, o ouer-manne,
en skenk aandag, alle inwoners van die land.*
Het so iets ooit in julle dae gebeur,
of in die dae van julle voorvaders?^a

HFST. 1

a Jl 2:2

Tweede kol.

a Eks 10:14, 15

- 3 Vertel dit aan julle kinders, en laat julle kinders dit aan hulle kinders vertel, en hulle kinders aan die volgende geslag.
- 4 Wat die eerste swerm sprinkane* laat oorbly het, is deur die volgende swerm sprinkane gevreet.^a

1:1 *Beteken "Jehovah is God". 1:2 *Of "aarde".

1:4 *Die Hebreeuse teks gebruik vier verskillende terme vir sprinkane in hierdie vers.

- En wat deur hulle agtergelaat is, is deur die jong sprinkane gevreet.
- En wat die jong sprinkane laat oorbly het, is deur die volgende swerm sprinkane gevreet.^a
- 5** Word wakker, julle dronkaards,^b en huil!
Kerm, al julle wyndrinkers, want die soet wyn is van julle monde weggeneem.^c
- 6** Want 'n magtige en ontelbare nasie het my land binnegeval.^d
Sy tande is soos leeutande,^e en sy kakebene is soos dié van 'n leeu.
- 7** Hy het my wingerdstok verniel en my vyeboom in 'n stomp verander.
Hy het dit heeltemal kaalgestroop en eenkant gegooi. Selfs die bas van die takkies is afgevrete.
- 8** Huil soos 'n maagd* in saklinne
wat oor die bruidegom[#] van haar jeug treur.
- 9** Graanoffer^f en drankoffer^g het uit die huis van Jehovah verdwyn.
Die priesters, die dienaars van Jehovah, treur.
- 10** Die veld is verwoes, die grond treur,^h
want die graan is vernietig, die nuwe wyn het opgedroog, die olie het verdwyn.ⁱ
- 11** Landbouers is ontsteld en wingerdarbeiders huil oor die koring en die gars, want die oes op die land het verlore gegaan.
- 12** Die wingerdstok het verdroog,
en die vyeboom het uitge-droog.

1:8 *Of "jong vrou". #Of "man".

HFST. 1

a Jl 2:25

b Jes 28:1
Am 6:6

c De 28:39

d Jl 2:2

e Op 9:7,8

f Le 2:1

g Eks 29:40

h Le 26:20

i De 28:39,40

Tweede kol.

a Le 26:20

b Eks 30:19,20

c Le 2:1

d Eks 29:40

e Jl 2:15

f 2Kr 20:3,13

g Jl 2:1
Sef 1:7,14
Sef 2:2
2Pe 3:10
Op 6:16,17

Die granaatboom, die palmboom en die appelboom, al die bome van die veld, het verdroog.^a

Want vreugde het in skaamte verander onder die mense.

13 Trek saklinne aan en treur,* o priesters.

Huil, dienaars van die altaar.^b

Kom in en bring die nag in saklinne deur, dienaars van my God,

want graanoffers^c en drankoffers^d word nie meer in die huis van julle God ingebring nie.

14 Roep 'n vas uit.* Kondig 'n heilige vergadering aan.^e

Laat die ouermanne, saam met al die inwoners van die land,

by die huis van Jehovah julle God bymekaarkom,^f en roep tot Jehovah om hulp.

15 Daardie vreeslike dag kom! Die dag van Jehovah is naby,^g

en dit sal kom soos 'n vernietiging van die Almagtige af!

16 Is die kos nie voor ons oë weggeneem,
en blydschap en vreugde uit die huis van ons God nie?

17 Die saad* het verdroog onder hulle grawe.

Voorraadszure is verwoes. Graanszure is afgebreek, want die graan het verdroog.

18 Selfs die vee kreun!

Die troppe beeste dwaal verward rond, want hulle het geen weiding nie!

En die troppe skape kry swaar onder die straf.

1:13 *Of "slaan op julle bors". 1:14 *Lett. "Heilig 'n vas". 1:17 *Of moontlik "droë vye".

- 19** Tot u sal ek roep,
o Jehovah,^a
want vuur het die weivelde
van die wildernis verteer,
en 'n vlam het al die bome
van die veld verslind.
- 20** Selfs die wilde diere van
die veld verlang na u,
want die waterstrome het
opgedroog,
en vuur het die weivelde van
die wildernis verteer.”
- 2** “Blaas 'n horing in Sion!^b
Skree 'n oorlogskreet op my
heilige berg.
Laat al die inwoners van
die land* bewe,
want die dag van Jehovah
kom!^c Dit is naby!
- 2** Dit is 'n dag van duisternis
en donkerterte,^d
'n dag van digte, donker
wolke.^e
Dit is soos die lig van die
dagbreek wat oor die
berge uitsprei.
Daar is 'n groot en magtige
volk.^f
Daar was nog nooit so
'n volk nie,
en daar sal nooit weer
so een wees nie,
tot in die verste geslagte.
- 3** Voor hom verteer 'n vuur,
en agter hom verslind 'n
vlam.^g
Voor hom is die land soos
die tuin van Eden,^h
maar agter hom is dit 'n ver-
late wildernis.
Niks oorleef nie.
- 4** Hulle lyk soos perde,
en hulle hardloop soos
oorlogspere.ⁱ
- 5** Wanneer hulle op die berg-
toppe spring,^j klink hulle
soos strydwaens
en soos 'n vlammeende vuur
wat stoppels verteer.

2:1 *Of “aarde”.

- HFST. 1
a Mi 7:7
Hab 3:18
- HFST. 2
b Ese 33:2, 3
Am 3:6
- c Sef 1:14, 16
Mal 4:1
- d Am 5:18, 20
- e Sef 1:15
- f Jl 1:6
- g Jl 1:19
- h Ge 2:8
- i Op 9:7
- j Op 9:9
- Tweede kol.
a Spr 30:27
- b Jl 2:31
Mt 24:29
Lu 21:25
Op 9:2
- c Jl 2:25
- d Jl 2:2
- e Jer 30:7
Am 5:18
Sef 1:15
- f Op 6:16, 17
- g Jer 4:1
Ho 12:6
Ho 14:1, 2
- h 1Sa 7:6
2Kr 20:3
- i 2Kn 22:18, 19
Ps 51:17
Jes 57:15
- j 2Sa 1:11, 12

- Dit is soos 'n magtige volk
wat in gevegsformasie
beweeg.^a
- 6** Weens hulle sal volke bewe
van angs.
Elke gesig sal bleek word.
- 7** Soos vegters kom hulle
aangestorm,
soos soldate klim hulle teen
'n muur op.
Elkeen gaan reguit
vorentoe,
en hulle draai nie links
of regs nie.
- 8** Hulle stamp mekaar nie,
en elkeen bly op sy pad.
As party weens die wapens
val,
bly die ander op koers.
- 9** Hulle storm die stad binne,
hulle hardloop op die
mure.
Hulle klim teen die huise op,
hulle klim deur die ven-
sters soos 'n dief.
- 10** Voor hulle bewe die land en
skud die hemel.
Die son en die maan het
donker geword,^b
en die sterre het hulle
glans verloor.
- 11** Jehovah roep hard uit voor
sy leërmag,^c want sy kamp
is baie groot.^d
Die een wat Sy woord uit-
voer, is magtig.
Die dag van Jehovah is
groot en baie ontsagwek-
kend.^e
Wie kan dit verduur?”^f
- 12** “Daarom moet julle nou met
julle hele hart na my terug-
keer,” sê Jehovah,^g
“en julle moet vas^h en huil
en treur.
- 13** Skeur julle harteⁱ en nie
julle klere nie,^j
en keer terug na Jehovah
julle God.

Want hy betoon medelye* en is genadig, word nie gou kwaad nie^a en is vol lojale liefde.^b

En hy sal oorweeg of hy die rampspoed wel sal bring.[#]

14 Wie weet of hy sal omdraai en sy besluit sal verander*^c en julle sal seën, sodat julle 'n graanoffer en 'n drankoffer vir Jehovah julle God kan bring?

15 Blaas 'n horing in Sion! Roep 'n vas uit.* Kondig 'n heilige vergadering aan.^d

16 Laat die volk bymeekaarkom. Heilig die gemeente.^e Bring die ou manne* bymeekaar. Bring die kinders en die babas.^f Laat die bruidegom uit sy binnekamer uitgaan en die bruid uit haar bruidskamer.

17 Laat die priesters, die dienaars van Jehovah, tussen die portaal en die altaar^g huil en sê: 'Voel tog jammer vir u volk, o Jehovah.

Moenie u erfdeel 'n bespottig maak

en toelaat dat die nasies oor hulle heers nie.

Hoekom moet die volke sê: "Waar is hulle God?"^h

18 Dan sal Jehovah ywerig wees vir sy land, en hy sal medelye* betoon aan sy volk.ⁱ

19 Jehovah sal sy volk antwoord en sê: 'Ek stuur vir julle graan en nuwe wyn en olie,

HFST. 2

a Jes 48:9

b Eks 34:6
Nu 14:18
Ne 9:17
Ps 106:44, 45
Mi 7:18, 19

c 2Kr 30:8, 9
Jer 18:7, 8
Sef 2:2, 3

d Jl 1:14

e Eks 19:10

f De 31:12
2Kr 20:3, 13

g 2Kr 8:12

h De 32:26, 27
Ps 79:9, 10
Mi 7:10

i De 32:36
Jes 60:10
Klg 3:22
Ho 11:8

Tweede kol.

a Jes 62:8, 9
Am 9:13
Mal 3:10

b Ese 34:29
Ese 36:15

c Jes 34:2, 3

d Jes 30:23
Jes 51:3

e Ese 34:27

f Am 9:14
Sag 8:12

g Jes 12:6
Sag 10:7

h Le 26:4
De 11:14

i Le 26:10
Am 9:13
Mal 3:10

en julle sal heeltemal versadig wees.^a

Ek sal julle nie meer 'n bespottig onder die nasies maak nie.^b

20 Ek sal die een wat uit die noorde kom, ver van julle af wegdryf.

Ek sal hom wegjaag na 'n droë en verlate plek, met die voorste deel van sy leërmag na die oostelike see* toe

en die agterste deel na die westelike see[#] toe.

En sy slegte reuk sal opstyg, sy stank sal aanhou opstyg,^c want Hy sal groot dinge doen.^d

21 Moenie bang wees nie, o land.

Wees bly en wees vreugdevol, want Jehovah sal groot dinge doen.

22 Moenie bang wees nie, o diere van die veld, want die weivelde van die wildernis sal groen word,^d en die bome sal vrugte dra.^e Die vyeboom en die wingerdstok moet hulle volle opbrengs gee.^f

23 Kinders van Sion, wees bly en wees vreugdevol as gevolg van Jehovah julle God,^g

want hy sal vir julle genoeg reën in die herfs gee, en hy sal vir julle stortreën stuur, die herfsreën en die lente-reën, soos vroeër.^h

24 Die dorsvloere sal vol graan wees, en die wynperse sal oorloop van nuwe wyn, en die olieperse van olie.ⁱ

25 En ek sal julle vergoed vir die jare

2:20 *Die Doonie See. [#]Die Middellandse See.

2:13, 18 *Sien Woordelys. 2:13 [#]Of "hy sal spyt voel oor die rampspoed". 2:14 *Of "en sal spyt voel". 2:15 *Lett. "Heilig 'n vas". 2:16 *Of "die ouermanne".

waarin julle oeste opgevreet is deur die een swerm sprinkane* ná die ander, my groot leërmag wat ek teen julle gestuur het.^a

26 Julle sal beslis eet totdat julle versadig is,^b en julle sal die naam van Jehovah julle God loof,^c wat wonders vir julle gedoen het.

My volk sal nooit weer verneder word nie.^d

27 En julle sal moet weet dat ek by Israel is^e en dat ek Jehovah julle God is^f – daar is geen ander nie!

My volk sal nooit weer verneder word nie.

28 Daarna sal ek my gees op alle soorte mense* uitstort,^g en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou manne sal drome droom en julle jong manne sal visioene sien.^h

29 En in daardie dae sal ek my gees selfs op my slawe en slavinne uitstort.

30 En ek sal tekens* in die hemel en op die aarde gee, bloed en vuur en rookkolomme.ⁱ

31 Die son sal in duisternis verander word en die maan in bloed,^j voordat die groot en ontsagwekkende dag van Jehovah kom.^k

32 En elkeen wat die naam van Jehovah aanroep, sal gered word.^l

2:25 *Die Hebreeuse teks gebruik vier verskillende terme vir sprinkane in hierdie vers. **2:28** *Lett. “vlees”. **2:30** *Of “wonders”.

HFST. 2

a Jl 1:4

b Le 26:5

c De 26:10, 11

d Sef 3:11

e Ps 46:5

f Le 26:11, 12
Ese 37:26, 27

g Jes 32:15
Jes 44:3
Ese 39:29

h Han 2:16-18

i Han 2:19, 20

j Mt 24:29
Mr 13:24, 25
Lu 21:25
Op 6:12

k Sef 1:14, 15
Mal 4:5

l Han 2:21
Ro 10:13

Tweede kol.

a Ob 17

HFST. 3

b De 30:3
Jer 30:3
Ese 39:28
Am 9:14
Sef 3:20

c Ese 38:22
Jl 3:12
Sef 3:8
Sag 14:3
Op 16:14, 16

d Ese 35:10, 11
Sef 2:8, 9

e Ob 11

f Jes 23:12
Jer 47:4
Ese 25:15-17
Am 1:9, 10
Sag 9:1, 2

g 2Kr 21:16, 17

h De 28:32
Ese 27:8, 13

i Jes 11:11, 12
Jes 43:5, 6
Jes 49:12
Jer 23:7, 8
Ese 34:12

Want op die berg Sion en in Jerusalem sal dié wees wat weggekom het,^a die oorlewendes wat deur Jehovah geroep word, net soos Jehovah gesê het.”

3 “In daardie dae en in daardie tyd, wanneer ek die gevangenes van Juda en Jerusalem terugbring,^b

2 sal ek ook al die nasies bymekaarbring

en hulle na die Jo’safat-vallei* bring.

Daar sal ek hulle oordeel^c ter wille van my volk en my erfdeel Israel, want hulle het hulle onder die nasies verstrooi en hulle het my land onder hulle verdeel.^d

3 Want hulle het oor my volk die lot gewerp.^e

Hulle gee ’n seun in ruil vir ’n prostituut en verkoop ’n dogter om wyn te drink.

4 En wat het julle teen my, o Tirus en Sidon en al die streke van Filiste’a? Betaal julle my terug vir iets?

As julle my wel terugbetaal, sal ek julle baie vinnig vir julle dade terugbetaal.^f

5 Want julle het my silwer en my goud geneem,^g en julle het my kosbaarste skatte in julle tempels ingebring.

6 En julle het die volk van Juda en Jerusalem aan die Grieke verkoop,^h om hulle ver weg te neem van hulle gebied.

7 Ek sal hulle terugbring uit die plek waar julle hulle verkoop het,ⁱ

3:2 *Jo’safat beteken “Jehovah is my Regter”.

- en ek sal julle vir julle dade terugbetaal.
- 8** Ek sal julle seuns en julle dogters aan* die volk van Juda verkoop.^a
En hulle sal hulle aan die manne van Skeba verkoop, aan 'n nasie wat ver weg is.
Want dit is wat Jehovah gesê het.
- 9** Sê vir die nasies:^b
'Maak gereed vir oorlog!*
Roep die sterk manne!
Laat al die soldate optrek en aanval!^c
- 10** Maak swaarde van julle ploegskare en spiese van julle snoeimesse.
Laat die swakke sê:
"Ek is sterk."
- 11** Kom help, alle nasies van die omgewing, kom bymekaar!"^d
O Jehovah, bring u magtiges* na daardie plek.
- 12** "Laat die nasies opstaan en na die Jo'safat-vallei kom, want daar sal ek sit om al die nasies van die omgewing te oordeel."^e
- 13** Steek 'n sekel in, want die oes is ryp.
Kom trap die wyppers, want dit is vol.^f
Die vate loop oor, want hulle slegtheid is oorvloedig.
- 14** Groot skares is in die vallei van oordeel, want die dag van Jehovah is naby in die vallei van oordeel.^g
- 15** Die son en die maan sal donker word,
en die sterre sal hulle glans verloor.

3:8 *Lett. "in die hand van". 3:9 *Lett. "Heilig 'n oorlog". 3:11 *Of "vegters".

- HFST. 3
a Ob 19, 20
b Jes 34:1, 2
c Ese 38:7
d Ese 38:9
Sef 3:8
Op 16:14
e Ps 76:8, 9
Jl 3:2
f Jes 63:3
Op 14:18-20
g Jes 34:2
Sef 1:14

Tweede kol.

- a Ps 50:15
b Sag 8:3
c Jes 4:3
d Jes 60:18
Na 1:15
Sag 14:21
e Am 9:13
Sag 9:17
f Ese 47:1
Op 22:1
g Jes 19:1
h Jer 49:17
i Ese 25:12, 13
j Am 1:11
Ob 10
k Ps 48:8
Jes 33:20
Jes 60:15
Am 9:15
l Jes 4:4
Ese 36:25
Mi 7:18, 19

m Jes 24:23
Mi 4:7

- 16** En Jehovah sal uit Sion brul,
uit Jerusalem sal hy sy stem laat hoor.
Die hemel en die aarde sal bewe,
maar Jehovah sal 'n skuilplek vir sy volk wees,^a
'n vesting vir Israel.
- 17** En julle sal moet weet dat ek Jehovah julle God is, wat op Sion, my heilige berg, woon.^b
Jerusalem sal 'n heilige plek word,^c
en vreemdelinge* sal nie meer daardeur trek nie.^d
- 18** In daardie dag sal die berge drup van soet wyn,^e
die heuwels sal vloei van melk
en al die strome van Juda sal vol water wees.
Uit die huis van Jehovah sal die water van 'n fontein vloei,^f
en dit sal die Vallei* van die Akasiabome natlei.
- 19** Maar Egipte sal 'n verlate plek word,^g
en Edom sal 'n verlate wildernis word,^h
weens die geweld teen die volk van Juda,ⁱ
in wie se land hulle onskuldige mense doodgemaak* het.^j
- 20** Maar Juda sal altyd bewoon word,
en Jerusalem van geslag tot geslag.^k
- 21** Ek sal hulle bloed* wat ek nie as onskuldig beskou het nie, as onskuldig beskou.^l
En Jehovah sal in Sion woon."^m

3:17 *Of "uitlanders". 3:18 *Of "Wadi". Sien Woordelys. 3:19 *Of "onskuldige bloed vergiet". 3:21 *Of "bloedskuld".

AMOS

OORSIG

- | | |
|--|--|
| <p>1 Amos ontvang boodskap van Jehovah (1, 2)
Oordele weens opstandige dade (3-15)
Sirië (3-5), Filistea (6-8), Tirus (9, 10), Edom (11, 12), Ammon (13-15)</p> <p>2 Oordele weens opstandige dade (1-16)
Moab (1-3), Juda (4, 5), Israel (6-16)</p> <p>3 God se oordeel bekend gemaak (1-8)
God openbaar sy vertroulike saak (7)
Boodskap teen Samaria (9-15)</p> <p>4 Boodskap teen koeie van Basan (1-3)
Jehovah bespot Israel se valse aanbidding (4, 5)
Israel weier om dissipline te aanvaar (6-13)
‘Maak gereed om jou God te ontmoet’ (12)
‘God sê vir mens wat Sy gedagtes is’ (13)</p> <p>5 Israel soos maagd wat geval het (1-3)
Soek God, en bly lewe (4-17)</p> | <p>Haat wat sleg is, wees lief vir wat goed is (15)
Jehovah se dag, ’n dag van duisternis (18-27)
Israel se offerandes verwerp (22)</p> <p>6 Dit sal sleg gaan met dié wat oorgerus is! (1-14)
Ivoorbeddens; bakke vol wyn (4, 6)</p> <p>7 Visioene wat wys dat Israel se einde naby is (1-9)
Sprinkane (1-3), vuur (4-6), skietlood (7-9)
Amos verbied om te profeteer (10-17)</p> <p>8 Visioen van mandjie somervrugte (1-3)
Onderdrukkers veroordeel (4-14)
Geestelike hongersnood (11)</p> <p>9 Niemand kan God se oordele vryspring nie (1-10)
Hut van Dawid sal opgerig word (11-15)</p> |
|--|--|

1 Die woorde van Amos,* een van die skaapboere uit Teko'a.^a Hy het 'n visioen oor Israel ontvang in die dae van koning Ussi'a^b van Juda en in die dae van Jero'beam,^c die seun van Joas,^d die koning van Israel, twee jaar voor die aardbewing.^e

2 Hy het gesê:

“Jehovah sal uit Sion brul,
en hy sal sy stem uit
Jerusalem laat hoor.

Die weiveld van die herders
sal treur,
en die top van die berg
Karmel sal verdroeg.”^f

1:1 *Beteken “n las wees” of “n las dra”.

HFST. 1

a 2Kr 11:5, 6

b 2Kr 26:1, 3, 4
Jes 1:1

c 2Kn 14:23, 24
Ho 1:1
Am 7:10

d 2Kn 13:10, 11

e Sag 14:5

f Jes 33:9
Na 1:4

Tweede kol.

a 2Kn 8:12
2Kn 10:32, 33
2Kn 13:7

b 1Kn 19:15

c Jer 49:27

d Jes 7:8

Jes 8:4
Jes 17:1

3 “Dit is wat Jehovah sê:
“Weens drie opstandige dade* van Damaskus, en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie, want hulle het Gi'lead gedors met dorsslê van yster.^a

4 Daarom sal ek 'n vuur teen die huis van Ha'sael stuur,^b en dit sal die versterkte torings van Ben-Hadad verteer.^c

5 Ek sal die grendels van Damaskus breek.^d Ek sal die inwoners van Bikat-Awen vernietig,

1:3 *Of “misdade”.

en ook die heerser van Bet-Eden.

En die volk van Sirië sal as ballinge* na Kir gaan,^a sê Jehovah.’

6 Dit is wat Jehovah sê:

“Weens drie opstandige dade van Gasa,^b en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie,

want hulle het ’n hele groep ballinge geneem^c en hulle aan Edom oorgelewer.

7 Daarom sal ek ’n vuur teen die muur van Gasa stuur,^d

en dit sal haar versterkte torings verteer.

8 Ek sal die inwoners van Asdod vernietig,^e en ook die heerser van Askalon.^f

Ek sal teen Ekron optree,^g en die oorblywende Filistyne sal sterf,^h sê die Soewereine Heer Jehovah.’

9 Dit is wat Jehovah sê:

‘Weens drie opstandige dade van Tirus,ⁱ en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie, want hulle het ’n hele groep ballinge aan Edom oorgelewer en hulle het nie aan die verbond van broers gedink nie.^j

10 Daarom sal ek ’n vuur teen die muur van Tirus stuur, en dit sal haar versterkte torings verteer.^k

11 Dit is wat Jehovah sê: ‘Weens drie opstandige dade van Edom,^l en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie, want hy het sy eie broer met die swaard agtervolg^m

HFST. 1

a 2Kn 16:9

b Ese 25:15

c 2Kr 21:16, 17
2Kr 28:18
Jl 3:4, 6

d Jer 25:17, 20
Jer 47:1
Sag 9:5

e Jes 20:1

f Jer 47:5

g Sef 2:4

h Jes 14:29
Jer 47:4
Ese 25:16, 17
Sef 2:5
Sag 9:6

i Ese 26:2

j Jl 3:4, 6

k Ese 26:12

l Jl 3:19

m Ese 25:12

Tweede kol.

a 2Kr 28:17
Ob 10

b Ge 36:10, 11
Ob 9

c Jes 34:5, 6
Jer 49:13

d Ese 25:3
Sef 2:8

e Rig 11:12, 13
Jer 49:1

f Jer 49:2
Ese 25:5

g Jer 27:2, 3
Jer 49:3

HFST. 2

h Jer 48:29, 30
Ese 25:8, 9
Sef 2:8

i Jer 48:21, 24

en hy het geweier om genade te betoon.

In sy woede hou hy aan om hulle te verskeur.

Hy bly heeltyd woedend vir hulle.^a

12 Daarom sal ek ’n vuur teen Teman stuur,^b

en dit sal die versterkte torings van Bosra verteer.^c

13 Dit is wat Jehovah sê:

“Weens drie opstandige dade van die Ammoniete,^d en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie, want hulle het die swanger vrouens van Gi’lead oopgesny om hulle eie gebied uit te brei.^e

14 Daarom sal ek die muur van Rabba aan die brand steek,^f

en die vuur sal haar versterkte torings verteer.

Daar sal ’n oorlogskreet gehoor word op hierdie dag van oorlog,

en op hierdie dag van stormwind sal daar ’n orkaan wees.

15 En hulle koning sal saam met sy hoë amptenare in ballingskap gaan,^g sê Jehovah.’

2 “Dit is wat Jehovah sê:

“Weens drie opstandige dade* van Moab,^h en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie, want hy het die beendere van die koning van Edom verbrand om kalk daarvan te maak.

2 Daarom sal ek ’n vuur teen Moab stuur, en dit sal die versterkte torings van Ke’rijot verteer.ⁱ Moab sal tydens die oorlogsgeraas sterf,

1:5 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is.

2:1 *Of “misdade”.

met 'n oorlogskreet, met die geluid van 'n horing.^a

3 Ek sal die heerser* uit haar verwyder

en al haar hoë amptenare saam met hom doodmaak,^b sê Jehovah.^c

4 Dit is wat Jehovah sê:

'Weens drie opstandige dade van Juda,^c en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie,

want hulle het die wet* van Jehovah verwerp

en sy wetsvoorskrifte nie gehoorsaam nie.^d

Maar dieselfde leuens wat hulle voorvaders gevolg het, het hulle laat afdwaal.^e

5 Daarom sal ek 'n vuur teen Juda stuur,

en dit sal die versterkte torings van Jerusalem verteer.^f

6 Dit is wat Jehovah sê:

'Weens drie opstandige dade van Israel,^g en weens vier, sal ek nie my besluit verander nie,

want hulle verkoop die regverdige vir silwer en die arme vir 'n paar sandale.^h

7 Hulle vertrap die hulpeloses in die stof van die aarde,ⁱ

en hulle versper die weg van die nederiges.^j

'n Man en sy pa slaap by dieselfde meisie en onheilig my heilige naam.

8 Hulle strek hulle langs elke altaar uit^k op klere wat hulle as sekuriteit vir 'n lening geneem het.^l

En in die tempel van hulle gode drink hulle wyn wat

HFST. 2

a Jes 15:1

b Jes 16:14
Jer 48:7

c 2Kn 17:19
Jer 2:13

d Le 26:14-16
2Kr 36:14

e Jer 9:14

f 1Sa 12:15
1Kr 28:9
2Kr 36:17, 19
Jer 17:27
Jer 37:8
Jer 52:12-14
Ho 8:14

g De 28:45
2Kn 17:6, 7
Ese 23:4, 5
Ho 4:1, 2

h Am 5:11
Am 8:4-6

i Am 4:1

j Jes 10:1, 2
Am 5:12

k Ho 8:11
Ho 10:1

l Eks 22:26
De 24:12

Tweede kol.

a Nu 21:23-25
Jos 24:8
Ps 135:10, 11

b De 2:31-33

c Eks 12:51

d Nu 14:34
De 2:7

e 1Sa 3:20
1Kn 17:1
1Kn 19:19

f Nu 6:2
Rig 13:5

g Nu 6:3, 4

h Jes 30:10, 11
Am 7:12, 13

i Am 9:1

j De 28:25

hulle gekry het by dié wat hulle beboet het.[']

9 'Maar dit was ek wat die Amoriete voor hulle vernietig het.^a

Hulle was so lank soos die sederbome en so sterk soos die eikebome.

Ek het sy vrug bo en sy wortels onder vernietig.^b

10 Ek het julle uit Egipte uitgelei,^c

en ek het julle 40 jaar lank deur die wildernis laat trek,^d

om die land van die Amoriete in besit te neem.

11 Ek het van julle seuns as profete aangestel,^e

en van julle jong manne as Nasire'ers.^f

Is dit nie so nie, o Israel? sê Jehovah.

12 'Maar julle het vir die Nasire'ers wyn bly gee om te drink,^g

en julle het die profete beveel: "Julle mag nie profeteer nie."^h

13 Daarom sal ek jou in jou plek vergruis,

net soos 'n wa vol gesnyde graan vergruis wat onder hom is.

14 Die vinnige sal nêrens heen kan vlug nie,ⁱ

die sterke sal nie sy krag behou nie

en geen vegter sal sy eie lewe kan red nie.

15 Die boogskutter sal nie weerstand bied nie,

die hardloper sal nie wegkom nie

en geen perderuiter sal sy eie lewe kan red nie.

16 Selfs die dapperste vegter

sal op daardie dag kaal wegvlug,^j sê Jehovah."

2:3 *Lett. "regter". 2:4 *Of "onderrigting".

3 “Luister na wat Jehovah oor julle sê, o Israel, oor die hele familie wat ek uit Egipte uitgelei het:

- 2 ‘Uit al die families van die aarde het ek net julle geken.^a
Daarom sal ek julle straf vir julle oortredings.^b
- 3 Sal twee saamloop tensy hulle ooreengekom het* om mekaar te ontmoet?
- 4 Sal ’n leeu in die woud brul wanneer hy geen prooi het nie?
Sal ’n jong leeu* uit sy lêplek grom as hy niks gevang het nie?
- 5 Sal ’n voël in ’n valstrik op die grond val as daar geen strik vir hom gestel is nie?*
- Spring ’n valstrik van die grond af op as dit niks gevang het nie?
- 6 As ’n horing in ’n stad geblaas word, bewe die volk dan nie?
As daar ramspoed in die stad is, is dit dan nie Jehovah wat opgetree het nie?
- 7 Want die Soewereine Heer Jehovah sal niks doen tensy hy sy vertroulike saak* aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.^c
- 8 Die leeu het gebrul!^d Wie sal nie bang wees nie?
Die Soewereine Heer Jehovah het gepraat! Wie sal nie profeteer nie?*
- 9 ‘Verkondig dit op die versterkte torings in Asdod en op die versterkte torings in Egipte.

3:3 *Of “in afspraak gemaak het”. 3:4 *Of “jong maanhaarleeu”. 3:5 *Of moontlik “as daar geen lokaas daarin is nie”. 3:7 *Of “geheim”.

HFST. 3

a Eks 19:5
De 7:6
Ps 147:19, 20

b Da 9:11, 12
Ho 12:2
Am 4:12

c Ge 6:13
Ge 18:17
Ps 25:14
Jes 42:9
Da 9:22
Op 1:1

d Am 1:2

e Jer 20:9
Am 7:14, 15
Han 4:19, 20

Tweede kol.

a 2Kn 17:22, 23

b Ho 7:1
Am 4:1

c 2Kn 17:6

d Ho 11:6
Am 6:8

e Jes 8:4
Am 6:4

f Ho 4:9

g 1Kn 12:32, 33
Ho 13:2

h 2Kn 23:15, 16
2Kr 31:1
2Kr 34:1, 7
Ho 10:2
Mi 1:6

i 1Kn 22:39

j Am 6:11

Sê: “Kom bymekaar op die berge van Samari’a.^a
Kyk na die moeilikheid en die verdrukking wat daar is.^b

- 10 Want hulle het hulle versterkte torings met geweld en vernietiging gevul,” sê Jehovah,
“en hulle weet nie hoe om te doen wat reg is nie.”
- 11 Daarom sê die Soewereine Heer Jehovah:
“n Vyand sal die land omsingel.^c
Hy sal jou krag van jou wegneem,
en jou versterkte torings sal gestroop word.”^d
- 12 Dit is wat Jehovah sê:
‘Net soos die herder twee pootjies of ’n stukkie oor uit die bek van die leeu wegruk,
so sal die Israëliete weggeruk word,
dié wat nou in Samari’a op pragtige beddens en mooi banke sit.’^e
- 13 ‘Luister en waarsku* die huis van Jakob,’ sê die Soewereine Heer Jehovah, die God van die leërmagte.
- 14 ‘Want die dag wanneer ek Israel straf vir al sy opstandige dade,^{*f}
sal ek ook teen die altare van Bet-El optree.^g
Die horings van die altaar sal afgekap word en op die grond val.^h
- 15 Ek sal die winterhuis saam met die somerhuis plat-slaan.’
‘Die huise van ivoor sal vergaan,ⁱ
en die groot* huise sal verdwyn,^j sê Jehovah.”

3:13 *Of “getuig teen”. 3:14 *Of “misdade”. 3:15 *Of moontlik “baie”.

- 4** “Hoor hierdie woord, koeie van Basan, wat op die berg van Samari’a is,^a vrouens wat die hulpeloses uitbuit^b en die armes verdruk, wat vir hulle mans* sê: ‘Bring tog vir ons iets om te drink!’
- 2** Die Soewereine Heer Jehovah het by sy heiligheid gesweer: “‘Kyk! Daar kom dae oor julle wanneer julle met die hake van ’n slagter opgetrek sal word, en die res van julle met vishoeke.
- 3** Elkeen van julle sal deur ’n gat in die muur uitgaan, wat reg voor julle sal wees. En julle sal na Harmon uitgedryf word,” sê Jehovah.^h
- 4** ‘Kom na Bet-El en sondig,^{*c} kom na Gilgal en sondig nog meer!^d Bring julle offerandes^e in die oggend en julle tiendes^f op die derde dag.
- 5** Brand ’n dankoffer van gesuurde brood,^g en roep hardop uit dat julle vrywillige offers bring! Want dit is wat julle so graag doen, o Israel,’ sê die Soewereine Heer Jehovah.
- 6** ‘En ek het julle honger laat ly* in al julle stede en gesorg dat daar nie kos in enige van julle huise is nie.^h En tog het julle nie na my teruggekeer nie,ⁱ sê Jehovah.

4:1 *Of “meesters”. 4:4 *Of “en kom in opstand”. 4:6 *Lett. “skoon tande gee”.

HFST. 4

a Am 6:1

b Ho 4:1, 2
Mi 2:2

c 1Kn 12:28, 29
Ho 4:13
Am 3:14

d Ho 4:15
Ho 9:15
Am 5:5

e Ho 8:11, 13

f De 14:28

g Le 7:12

h Le 26:26
De 28:38
De 32:24
1Kn 18:2
2Kn 4:38

i Jer 3:6, 7

Tweede kol.

a De 28:23, 24

b 1Kn 18:5

c Ho 7:10

d De 28:22

e De 28:40, 42

f Jes 42:24

g Eks 9:3
De 28:27, 60

h Le 26:23, 25
2Kn 8:12

i 2Kn 13:7

j De 28:26

k Ge 19:24, 25

- 7** ‘Ek het julle reën drie maande voor die oes laat op-hou.^a Ek het dit op een stad laat reën, maar nie op ’n ander stad nie. Op een stuk land het dit gereën, maar ’n ander stuk land waarop dit nie gereën het nie, het verdroog.
- 8** Mense van twee of drie stede het na een stad gestrompel om water te drink,^b maar hulle het nie genoeg gekry nie. En tog het julle nie na my teruggekeer nie,^c sê Jehovah.
- 9** ‘Ek het julle oeste met verskroeiende hitte en ’n swamsiekte getref.^d Julle het julle tuine en wingerde vermeerder, maar sprinkane het julle vye-bome en julle olyfbome verslind.^e En julle het nog steeds nie na my teruggekeer nie,^f sê Jehovah.
- 10** ‘Ek het ’n vreeslike siekte soos dié van Egipte onder julle gestuur.^g Met die swaard het ek julle jong manne dood-gemaak^h en julle perde weggeneem.ⁱ Ek het die stank van julle kampe in julle neusgate laat opstyg.^j En tog het julle nie na my teruggekeer nie,’ sê Jehovah.
- 11** ‘Ek het ’n verwoesting onder julle veroorsaak, soos God se verwoesting van Sodom en Gomor’ra.^k En julle was soos ’n stomp wat uit die vuur geruk is.

En tog het julle nie na my teruggekeer nie,^a sê Jehovah.

12 Daarom sal ek jou weer straf, o Israel. Omdat ek dit sal doen, o Israel, moet jy jou gereedmaak om jou God te ontmoet.

13 Hy het die berge gevorm^b en die wind geskep.^c Hy sê vir die mens wat Sy gedagtes is, hy verander die dagbreek in donkerte^d en hy loop op die hoogtes van die aarde.^e Jehovah, die God van die leëmagte, is sy naam.”

5 “Hoor hierdie woord, my treurlied teen julle, o huis van Israel:

2 ‘Die maagd, Israel, het geval. Sy kan nie weer opstaan nie. Sy is verlate in haar eie land.

Daar is niemand om haar op te help nie.’

3 “Want dít is wat die Soeweine Heer Jehovah sê:

‘Die stad wat met 1 000 gaan veg, sal 100 oorhê. En die stad wat met 100 gaan veg, sal 10 oorhê. Dit sal met die huis van Israel gebeur.’^f

4 “Want dít is wat Jehovah vir die huis van Israel sê:

‘Soek my, en bly lewe.’^g

5 Moenie na Bet-El soek nie,^h en moenie na Gilgalⁱ of na Berse^lba gaan nie,^j want Gilgal sal vir seker in ballingskap gaan^k en van Bet-El sal niks oorbly nie.*

5:5 *Of moontlik “en Bet-El sal iets bonatuurlik word”.

HFST. 4

a Ho 7:10

b Jes 40:12

c Jer 10:13

d Eks 10:22
Jes 5:30
Am 8:9

e Mi 1:3

HFST. 5

f De 4:27
De 28:62

g 2Kr 15:2
Jes 55:3, 6

h 1Kn 12:28, 29
Am 3:14

i Ho 4:15
Am 4:4

j Am 8:14

k 2Kn 17:6
Ho 9:15

Tweede kol.

a Ese 33:11

b Am 6:12

c Job 9:9
Job 38:31-33

d Eks 10:21, 22

e Job 36:27, 28
Pr 1:7

f 1Kn 18:17
1Kn 22:8

g Mi 2:2

h Jes 9:9, 10

i De 28:30

6 Soek Jehovah, en bly lewe,^a sodat hy nie soos ’n vuur teen die huis van Josef losbars

en Bet-El verteer nie, en daar niemand is wat dit blus nie.

7 Julle verander geregtigheid in als,^{*} en julle gooi regverdigheid teen die grond.^b

8 Die Een wat die Kima-sterrebeeld^{*} en die Kesil-sterrebeeld[#] gemaak het,^c die Een wat diep skaduwee in oggend verander, die Een wat die dag so donker soos die nag maak,^d die Een wat die waters van die see roep en dit op die aarde uitstort^e – Jehovah is sy naam.

9 Hy sal vernietiging teen die sterke laat losbars en vernietiging oor versterkte stede bring.

10 Hulle haat dié wat teregwyding in die stadspoort gee, en hulle kan dié wat die waarheid praat, nie verdra nie.^f

11 Omdat julle landhuur^{*} van die arme eis en sy graan as skatting[#] neem,^g sal julle nie bly woon in die huise wat julle van gekapte klip gebou het nie^h en sal julle ook nie die wyn drink van die goeie wingerde wat julle geplant het nie.ⁱ

12 Want ek weet hoe baie julle opstandige dade^{*} is

5:7 *’n Soort bitter plant. 5:8 *Verwys moontlik na die Plejades-sterregroep in die Bul-sterrebeeld. #Verwys moontlik na die Orion-sterrebeeld. 5:11 *Of “grondbelasting”. #Sien Woordelys. 5:12 *Of “misdade”.

en hoe groot julle sondes is
– julle laat die regverdiges
swaarkry,
julle aanvaar omkoop-
geskenke
en julle behandel die
armes onregverdig in
die stadspoort.^a

13 Daarom sal dié wat insig
het, in daardie tyd stilbly,
want dit sal 'n tyd van
ramspoed wees.^b

14 Soek wat goed is, en nie
wat sleg is nie,^c
sodat julle kan bly lewe.^d
Dan sal Jehovah, die God
van die leërmagte, met
julle wees,
net soos julle sê hy is.^e

15 Haat wat sleg is, en wees lief
vir wat goed is.^f

Laat daar geregtigheid in
die stadspoort wees.^g

Miskien sal Jehovah, die
God van die leërmagte,
aan die oorblywendes van
Josef genade betoon.^h

16 “Daarom sê Jehovah, die
God van die leërmagte, ja, Je-
hovah sê:

‘Op al die openbare pleine
sal daar 'n getreur wees,
en in al die strate sal mense
sê: “Dit is verskriklik!”

En hulle sal die landbouers
vra om te huil,
en hulle sal dié wat gehuur
word om te treur, vra om
te kom treur.’

17 ‘In elke wingerd sal daar
getreur word,ⁱ
want ek sal tussen julle
deur trek om julle te straf,^j
sê Jehovah.

18 ‘Dit sal sleg gaan met dié
wat verlang na die dag van
Jehovah!
Wat sal die dag van Jehovah
dan vir julle beteken?’^k

HFST. 5

a Jes 10:1, 2
Am 2:6, 7

b Mi 2:3

c Jes 1:16, 17
Mi 6:8

d Le 18:5
De 30:19, 20

e 2Kr 15:2
Mi 3:11

f Ps 34:14
Ps 97:10
Ro 12:9

g 2Kr 19:6
Am 5:24

h Jer 31:7
Sag 10:6

i Ho 9:2

j Jes 5:18, 19

k Am 4:12

Tweede kol.

a Sef 1:14, 15

b Spr 15:8

c Ps 50:8
Jes 66:3
Ho 6:6

d Jes 1:11

e Am 6:5
Am 8:10

f Mi 6:8

g Han 7:42, 43

Dit sal duisternis wees, en
nie lig nie.^a

19 Dit sal wees soos 'n man wat
vir 'n leeu vlug, en 'n beer
teëkom,
en wanneer hy in sy huis in-
gaan en met sy hand teen
die muur leun, byt 'n slang
hom.

20 Die dag van Jehovah sal
duisternis wees, en nie lig
nie.

Dit sal donker wees,
sonder glans.

21 Ek haat, ek verag julle
feeste,^b
en die reuk van julle heilige
vergaderinge is nie vir my
aangenaam nie.

22 Selfs as julle heelbrand-
offers en offergawes aan
my bring,
sal ek dit nie goedkeur nie.^c
En julle vrede-offers* van
vetgemaakte diere sal ek
nie aanvaar nie.^d

23 Ek wil nie die geraas van
julle liedere hoor nie,
en ek wil nie die klank
van julle snaarinstrumen-
te hoor nie.^e

24 Laat geregtigheid soos wa-
ters vloei,^f
en regverdigheid soos
'n rivier wat altyd vol is.

25 Het julle 40 jaar lank in die
wildernis
offerandes en offergawes
aan my gebring, o huis van
Israel?^g

26 Nou sal julle Sakkut, julle
koning, en Kaiwan* moet
wegdra,
die beelde wat julle vir julle
gemaak het van die ster
van julle god.

5:22 *Of “gemeenskapsoffers”. **5:26**
*Hierdie gode verwys moontlik albei
na die planeet Saturnus, wat as 'n god
aanbid is.

27 En ek sal julle anderkant Da-maskus in ballingskap laat gaan,^a sê hy wie se naam Jehovah, die God van die leërmagte, is.”^b

6 “Dit sal sleg gaan met dié in Sion wat selfversekerd* is, met dié wat veilig voel op die berg van Samari’a,^c die belangrike manne van die vernaamste volk, dié na wie die huis van Israel gaan!

2 Trek oor na Kalne en kyk. Gaan daarvandaan na Groot-Hamat,^d en gaan af na Gat van die Filistyne. Is hulle beter as hierdie koninkryke,* of is hulle gebied groter as julle s’n?

3 Sit julle die rampspoedige dag uit julle gedagtes,^e en bevorder julle geweld in die land?^f

4 Julle lê op ivoorbeddens^g en strek julle op banke uit,^h julle eet die ramme van die kudde en die vetgemaakte kalwers.*ⁱ

5 Julle maak liedjies om op die harp* te speel,^j en soos Dawid maak julle musiekinstrumente.^k

6 Julle drink bakke vol wyn,^l en julle salf julle met die beste olies. Maar julle bekommer julle nie oor die ondergang van Josef nie.^m

7 Daarom sal julle eerste in ballingskap gaan.ⁿ En die feeeste van dié wat uitgestrek lê, sal tot ’n einde kom.

6:1 *Of “gerus”. 6:2 *Verwys blykbaar na Juda en Israel. 6:4 *Of “jong bulle”. 6:5 *Of “snaarinstrument”.

HFST. 5
a 2Kn 15:29
2Kn 17:6
b Am 4:13

HFST. 6
c Am 3:13, 15
d Nu 34:2, 8
2Kn 14:28

e Jes 56:12

f Am 5:12

g 1Kn 22:39

h Am 3:12

i Jes 22:13

j Jes 5:12

k 2Kr 7:6
2Kr 29:25, 26

l Jes 5:11

m 2Kn 15:29
2Kn 17:6

n De 28:41
Am 5:5

Tweede kol.

a Am 4:2

b Ese 33:28
Ho 5:5

c Klg 2:5

d Mi 1:6

e Jes 10:5, 6

f Am 3:15

g 1Kn 21:13
Jes 59:13
Ho 10:4
Am 5:7

h De 8:17, 18
Ps 75:5

i De 28:49, 50
2Kn 15:29
2Kn 17:6
Jes 7:20
Jes 8:4
Jes 10:5, 6
Ho 10:6

8 ‘Die Soewereine Heer Jehovah het by homself gesweer,^a sê Jehovah, die God van die leërmagte:

“‘Ek verag die trots

van Jakob,^b

ek haat sy versterkte torings,^c

en ek sal die stad en alles daarin oorlewer.^d

9 ““En as daar tien manne in een huis oorbly, sal hulle ook sterf. 10 ’n Familielid* sal kom om hulle een vir een uit te dra en te verbrand. Hy sal hulle liggame^e uit die huis uitbring. Dan sal hy vir wie ook al in die binnekamers van die huis is, vra: ‘Is daar nog by jou?’ En hy sal sê: ‘Daar is niemand!’ Dan sal hy sê: ‘Bly stil! Want dit is nie die tyd om die naam van Jehovah te noem nie.’”

11 Want dit is Jehovah wat die bevel gee,^e en hy sal van die groot huis net rommel laat oorbly,

en van die klein huis net stukke.^f

12 Hardloop perde op ’n krans of sal iemand daar met beeste ploeg?

Want julle het geregtigheid in ’n gifplant verander, en die vrug van regverdigheid in als.*^g

13 Julle is bly oor iets wat waardeloos is, en julle sê: “Het ons nie in ons eie krag sterk geword nie?”^h

14 Daarom, o huis van Israel, sal ek ’n nasie teen jou laat kom,ⁱ sê Jehovah, die God van die leërmagte,

6:10 *Lett. “Sy pa se broer”. ^eLett. “beendere”. 6:12 *n Soort bitter plant.

'en hulle sal julle onderdruk van Lebo-Hamat*^a af tot by die Valleï[#] van die A'rabab."

7 Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah my laat sien het: Hy het 'n sprinkanswerm gevorm toe die oes wat in die winter gesaai is,* begin opkom het. Dit was die oes wat gesaai is nadat die koning se hooi gesny is. **2** Toe die swerm al die plante van die land opgeëet het, het ek gesê: "O Soewereine Heer Jehovah, vergewe u volk asseblief!^b Hoe kan Jakob oorleef? Want hy is swak!"^c

3 Daarom het Jehovah sy besluit verander.*^d "Dit sal nie gebeur nie," het Jehovah gesê.

4 Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah my laat sien het: Die Soewereine Heer Jehovah het beveel dat daar deur middel van vuur gestraf moet word. Dit het die groot diep waters verteer, en dit het 'n stuk van die land verteer. **5** Toe het ek gesê: "O Soewereine Heer Jehovah, hou dit asseblief terug.^e Hoe kan Jakob oorleef? Want hy is swak!"^f

6 Daarom het Jehovah sy besluit verander.*^g "Dit sal ook nie gebeur nie," het die Soewereine Heer Jehovah gesê.

7 Dit is wat hy my laat sien het: Jehovah het op 'n muur gestaan wat met 'n skietlood gemaak is, en daar was 'n skietlood in sy hand. **8** Toe het Jehovah vir my gevra: "Wat sien jy, Amos?" En ek het gesê: "'n Skietlood." Jehovah het toe gesê: "Ek toets my volk Israel met 'n skietlood. Ek sal hulle nie meer verskoon nie."^h **9** Die

6:14 *Of "die ingang van Hamat".
*Of "Wadi". Sien Woordelys. **7:1**
*D.w.s. gedurende Januarie en Februarie. **7:3, 6** *Of "hieroor spyt gevoel".

HFST. 6

a Nu 34:2, 8

HFST. 7

b Jer 14:7
Da 9:19

c Jes 37:4

d De 32:36
Ps 106:44, 45
Ho 11:8

e Eks 32:11

f Jes 1:9
Am 7:2

g Eks 32:14

h Am 8:2

Tweede kol.

a 1Kn 12:25, 31
1Kn 13:33b Ho 10:8
Am 5:5
Am 8:14c 2Kn 15:8, 10
Ho 13:16

d 1Kn 12:32

e 2Kn 14:23

f Jer 26:8, 9
Am 1:1

g Jer 18:18

h Am 5:5
Am 6:7

i Jes 30:10

j Am 2:12

k 1Kn 12:29, 32
1Kn 13:1

l Am 1:1

m Jer 1:7
Ese 2:3
2Pe 1:21n Jer 11:21
Am 7:13

o Mi 2:6

p Le 26:33
2Kn 17:6

offerhoogtes van Isak^a sal vernietig word, en die heiligdomme van Israel sal verwoes word.^b En ek sal met 'n swaard teen die huis van Jero'beam kom."^c

10 Ama'sia, die priester van Bet-El,^d het hierdie boodskap aan koning Jero'beam^e van Israel gestuur: "Amos is besig met 'n sameswering teen u hier in die huis van Israel.^f Die land kan nie al sy woorde verdra nie.^g **11** Want dit is wat Amos sê: 'Jero'beam sal deur die swaard sterf, en Israel sal vir seker uit sy land in ballingskap gaan.'"^h

12 Ama'sia het toe vir Amos gesê: "O siener, gaan, vlug na die land van Juda, verdien* jou brood daar, en jy kan daar profeteer.ⁱ **13** Maar jy mag nie meer in Bet-El profeteer nie,^j want dit is die heiligdom van 'n koning^k en die huis van 'n koninkryk."

14 Toe het Amos vir Ama'sia gesê: "Ek was nie 'n profeet of die seun van 'n profeet nie, maar ek was 'n veewagter,^l en ek het wildeveybome versorg.* **15** Maar Jehovah het my van die kleinvee weggeneem, en Jehovah het vir my gesê: 'Gaan na my volk Israel en profeteer.'^m **16** Hoor dan nou die woord van Jehovah: 'Jy sê: "Moenie teen Israel profeteer nie,ⁿ en moenie 'n oordeelsboodskap teen die huis van Isak verkondig nie."^o **17** Daarom sê Jehovah: "Jou vrou sal 'n prostituut in die stad word. En jou seuns en jou dogters sal deur die swaard val. Jou land sal met 'n maatlyn verdeel word, en jy sal in 'n onrein land sterf. En Israel sal vir seker uit sy land in ballingskap gaan.'"^p

7:12 *Lett. "eet". **7:14** *Of "was 'n prikker van die vye van wildeveybome".

8 Dit is wat die Soewereine Heer Jehovah my laat sien het: Daar was 'n mandjie somervrugte. **2** Toe het hy gevra: "Wat sien jy, Amos?" Ek het geantwoord: "'n Mandjie somervrugte." Toe het Jehovah vir my gesê: "Die einde het vir my volk Israel gekom. Ek sal hulle nie meer verskoon nie.^a **3** 'Die tempelliedere sal in daardie dag in 'n getreur verander,^b sê die Soewereine Heer Jehovah. 'Daar sal oral lyke lê^c - wees stil!'

4 Luister, julle wat die armes vertrap

en wat 'n einde maak aan die nederiges van die land,^d

5 wat sê: 'Wanneer sal die fees van die nuwemaan verby wees,^e sodat ons ons graan kan verkoop?

En wanneer sal die Sabbat verby wees,^f sodat ons ons graan te koop kan aanbied?

Dan kan ons die efa* kleiner maak

en die gewig van die sikkels* groter

om te bedrieg met 'n valse weegskaal.^g

6 Dan kan ons die hulpeloses vir silwer koop,

en die armes vir 'n paar sandale,^h

en ons kan die afval van die graan verkoop.'

7 Jehovah het by die Trots van Jakob gesweer:ⁱ

'Ek sal al hulle dade nooit vergeet nie.^j

8 Daarom sal die land* bewe, en elke inwoner daarvan sal treur.^k

Sal dit nie heeltemal opkom soos die Nylrivier

HFST. 8

a Am 4:12
Am 7:8

b Ho 10:5
Am 5:23

c Am 6:9,10

d Am 2:6,7

e Nu 10:10

f Eks 20:8

g Le 19:35, 36
Ho 12:7
Mi 6:10, 11

h Le 25:39
Am 2:6

i De 33:26
Ps 68:34

j Ho 8:13

k Ho 4:3

Tweede kol.

a Am 9:5

b Mi 3:6

c Ho 2:11

d Ps 74:9
Ese 7:26
Mt 4:4

e Ho 8:5
Ho 10:5

f 1Kn 12:28-30

g Am 5:5

h 2Kn 18:11
Ho 13:16

en onstuimig wees en wagsak soos die Nyl van Egipte nie?'^a

9 'In daardie dag,' sê die Soewereine Heer Jehovah, 'sal ek die son in die middel van die dag laat ondergaan, en ek sal die land op 'n helder dag laat donker word.'^b

10 Ek sal julle feeste in rou verander,^c

en al julle liedere in treurliedere.

Ek sal saklinne om al die heupe bind en elke kop kaal maak.

Ek sal julle laat rou soos oor 'n enigste kind,

en die dag sal bitter eindig.'

11 'Kyk! Daar kom dae,' sê die Soewereine Heer Jehovah,

'dat ek hongersnood in die land sal stuur,

nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie,

maar om die woorde van Jehovah te hoor.'^d

12 Hulle sal van see tot see strompel,

en van die noorde tot by die ooste.*

Hulle sal oral soek na die woord van Jehovah, maar hulle sal dit nie vind nie.

13 In daardie dag sal pragtige maagde

en ook jong manne flou word van die dors.

14 Dié wat by die skuld van Samari'a sweer^e en wat sê:

"So waar as wat jou god lewe, o Dan!"^f

en: "So waar as wat die weg van Berse'ba^g lewe!"

- hulle sal val en nie weer opstaan nie."^h

9 Ek het Jehovah^a bo die altaar sien staan, en hy het gesê: "Slaan die pilaarkop, en die drumpels sal bewe. Kap die pilaarkoppe af. En ek sal dié wat oorbly met die swaard doodmaak. Niemand wat vlug, sal wegkom nie, en niemand wat probeer ontsnap, sal dit regkry nie.^b

2 Al grawe hulle tot in die Graf,* sal my hand hulle daar uithaal.

En al klim hulle op na die hemel, sal ek hulle daarvandaan afbring.

3 En al kruip hulle op die top van die berg Karmel weg, sal ek hulle daar opspoor en hulle wegneem.^c

Al kruip hulle op die bodem van die see vir my weg, sal ek die slang daar beveel om hulle te byt.

4 Al word hulle deur hulle vyande as gevangenes wegge neem, sal ek die swaard daar beveil om hulle dood te maak.^d
Ek sal my aandag op hulle rig om slegte dinge oor hulle te bring, en nie goeie dinge nie.^e

5 Want die Soewereine Heer, Jehovah van die leërmagte, is die Een wat die land* aanraak sodat dit smelt,^f en al die inwoners daarvan sal treur.^g
En dit sal heeltemal opkom soos die Nylrivier en wegsak soos die Nyl van Egipte.^h

6 'Die Een wat sy trap in die hemel bou

HFST. 9

a Jes 6:1
Ese 1:27, 28

b Am 2:14

c Jer 23:24

d Le 26:33

e De 28:63, 65

f Mi 1:4

g Ho 4:3

h Am 8:8

Tweede kol.

a Job 36:27, 28
Ps 135:7

b Eks 3:15
Am 4:13
Am 5:8

c Eks 12:51

d Jer 47:4

e 2Kn 16:9

f 1Kn 13:34
2Kn 18:11

g Jer 30:11

h Le 26:33
De 28:64

i Jes 9:6, 7
Jes 16:5
Jer 23:5
Ese 37:24, 25
Sag 12:8
Lu 1:31-33

j 2Sa 7:11
Han 15:16-18

k Nu 24:18
Jes 11:14
Ob 18, 19

en sy gebou* oor die aarde oprig,

die Een wat die waters van die see roep om dit oor die aarde uit te stort^a

– Jehovah is sy naam.^b

7 'Is julle nie vir my soos die Kussiete nie, o Israel?' sê Jehovah.

'Het ek Israel nie laat optrek uit Egipteland,^c

die Filistyne uit Kreta^d en Sirië uit Kir nie?'^e

8 'Ky! Die oë van die Soewereine Heer Jehovah is op die sondige koninkryk, en hy sal dit van die aarde af wegvee.^f

Maar ek sal die huis van Jakob nie heeltemal vernietig nie,^g sê Jehovah.

9 'Want ek gee die bevel, en ek sal die huis van Israel onder al die nasies skud,^h soos 'n mens 'n sif skud – nie 'n klippe val op die grond nie.

10 Hulle sal deur die swaard sterf, al die sondaars van my volk, dié wat sê: "Die rampspoed sal nie naby ons kom of ons bereik nie."ⁱ

11 'In daardie dag sal ek die hut* van Dawid, wat ineengestort het, oprig,ⁱ en ek sal die gate in die muur herstel.

Ek sal die hut van Dawid herbou, ek sal dit herstel soos in die dae van lank gelede.^j

12 Dan sal hulle in besit kan neem wat oorgebly het van Edom^k en van al die nasies oor wie my naam uitgeroep is,^j sê Jehovah, wat hierdie dinge doen.

9:2 *Of "Sjeool". Sien Woordelys. 9:5 *Of "aarde".

9:6 *Of "koepel". 9:11 *Of "tent".

- 13 'Kyk! Daar kom dae,' sê
 Jehovah,
 'dat die een wat oes, inge-
 haal sal word deur die een
 wat ploeg,
 en die een wat saai, deur
 die een wat druiwe trap.^a
 En die berge sal van
 soet wyn drup,^b
 en dit sal van al die heuwels
 afvloeï.^c
- 14 Ek sal die gevangenes
 van my volk Israel
 terugbring.^d

HFST. 9

a Le 26:5
 Ho 2:22
 b Jl 3:18
 c Jes 35:1
 Jes 55:12
 d Esr 3:1
 Jer 30:3
 Ese 39:25

Tweede kol.

a Jes 61:4
 Ese 36:33
 b Jes 65:21, 22
 Ese 28:25, 26
 c Jes 62:8, 9
 Mi 4:4
 d Jes 60:21
 Ese 34:27, 28
 Ese 37:25

en hulle sal die verwoeste
 stede herbou en bewoon.^a
 Hulle sal wingerde plant
 en die wyn daarvan
 drink^b
 en tuine maak en die vrugte
 daarvan eet.^c

- 15 'Ek sal hulle in hulle land
 plant,
 en hulle sal nie weer uit-
 geruk word
 uit hulle land wat ek aan
 hulle gegee het nie,^d sê
 Jehovah julle God.'

OBADJA

O O R S I G

Hoogmoedige Edom sal verneder
 word (1-9)
 Edom se geweld teen Jakob (10-14)
 Jehovah se dag teen al die
 nasies (15, 16)

Huis van Jakob sal herstel word (17-21)
 Edom sal deur Jakob verteer
 word (18)
 Koningskap sal Jehovah s'n
 word (21)

- 1 Die visioen van Obad'ja:*
- Dit is wat die Soewereine
 Heer Jehovah oor
 Edom sê:^a
 "Ons het 'n berig van
 Jehovah gehoor.
 'n Boodskapper[#] is onder
 die nasies uitgestuur:
 'Staan op, laat ons
 gereedmaak vir oorlog
 teen hom.'^b
- 2 "Ek het jou klein gemaak
 onder die nasies.
 Daar word erg op jou
 neergesien.^c

a Jes 21:11
 Ese 25:12-14
 Jl 3:19
 Am 1:11, 12

b Jer 49:14-16

c Jer 49:8

Tweede kol.

a Mal 1:4

- 3 Jou trotse hart het jou
 bedrieg,^a
 jy wat in die skuilplekke
 van die krans woon,
 wat in die hoogtes bly en
 in jou hart sê:
 'Wie sal my na die aarde toe
 afbring?'
- 4 Al maak jy jou woonplek
 hoog,* soos die arend,
 of al plaas jy jou nes tussen
 die sterre,
 ek sal jou daarvandaan af-
 bring," sê Jehovah.
- 5 "As diewe na jou toe kom,
 rowers in die nag,

1 *Beteken "kneg van Jehovah". [#]Of "Gesant".

4 *Of moontlik "Al vlieg jy hoog".

- (jy sal heeltemal vernietig word!)*
sal hulle nie slegs steel wat hulle wil hê nie?
Of as druieweplukkers na jou toe kom,
sal hulle nie van die oesoort-blyfsels agterlaat nie?^a
- 6** Hoe is Esau tog deursoek!
Hoe is daar tog gesoek na sy skatte wat weggesteek is!
- 7** Hulle het jou tot by die grens gedryf.
Al jou bondgenote* het jou bedrieg.
Die manne wat in vrede met jou gelewe het, het jou oorwin.
Dié wat saam met jou brood eet, sal 'n net onder jou span,
maar jy sal dit nie agterkom nie.”
- 8** Jehovah sê: “Sal ek nie in daardie dag die wyses uit Edom vernietig,^b
en dié met goeie oordeel uit die bergstreek van Esau nie?”
- 9** En jou vegters sal baie bang word,^c o Teman,^d
omdat elkeen in die bergstreek van Esau in die slagting vernietig sal word.^e
- 10** Weens die geweld teen jou broer Jakob^f
sal skaamte jou bedek,^g
en jy sal vir ewig verdwyn.^h
- 11** Die dag toe jy eenkant gestaan het,
die dag toe vreemdelinge sy leërmag in gevangenskap weggenem het,ⁱ
toe uitlanders by sy poort ingegaan en die lot oor Jerusalem gewerp het,^j

5 *Of moontlik “hoeveel sal hulle vernietig?” 7 *Of “dié wat in 'n verbond met jou is”.

a De 24:21
Jer 49:9,10

b Jer 49:7

c Jer 49:22

d Ge 36:10,11
Ese 25:13
Am 1:12

e Jes 34:5,6

f Ge 27:41,42
Nu 20:20,21
Ps 83:4-6
Ps 137:7
Jl 3:19
Am 1:11

g Jer 49:13

h Mal 1:3,4

i 2Kn 24:10,16
Jer 52:28

j Jl 3:3

Tweede kol.

a Mi 4:11

b Klg 4:21

c Sag 1:15

d Ps 137:7
Ese 25:12

e Am 1:11

f Jer 30:7

g Jer 9:25,26
Jer 25:32
Jl 3:12,14
Mi 5:15

h Ese 35:15

i Jer 25:17
Jer 49:12

j Jl 2:32

k Jes 4:3
Sag 8:3

l Jes 14:2
Am 9:11,12

het jy soos een van hulle opgetree.

- 12** Moenie lekker kry as gevolg van wat met jou broer gebeur op die dag dat 'n ramp hom tref nie,^a
moenie bly wees oor die volk van Juda op die dag van hulle ondergang nie,^b
en moenie 'n groot mond hê op die dag van hulle angs nie.
- 13** Moenie by die poort van my volk inkom op die dag van hulle ongeluk nie,^c
moenie lekker kry as gevolg van sy ramspoed op die dag van sy ongeluk nie,
en moenie jou hand na sy rykdom uitsteek op die dag van sy ongeluk nie.^d
- 14** Moenie by die kruispad staan om dié wat ontsnap, dood te maak nie,^e
en moenie sy oorlewendes in die dag van angs in die hand van sy vyande gee nie.^f
- 15** Want die dag van Jehovah teen al die nasies is naby.^g
Soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word.^h
Die manier waarop jy ander behandel het, sal op jou eie kop terugkom.
- 16** Want soos julle op my heilige berg gedrink het,
sal al die nasies voortdurend bly drink.ⁱ
Hulle sal drink en insluk,
en dit sal wees asof hulle nooit bestaan het nie.
- 17** Maar dié wat weggekrom het, sal op die berg Sion wees,^j
en dit sal heilig wees,^k
en die huis van Jakob sal hulle besittings in besit neem.^l

- 18** Die huis van Jakob sal 'n vuur word,
die huis van Josef 'n vlam,
en die huis van Esau soos strooi.
Hulle sal hulle aan die brand steek en verteer,
en daar sal geen oorlewende van die huis van Esau wees nie,^a
want Jehovah het dit gesê.
- 19** Hulle sal die Negeb in besit neem, en die bergstreek van Esau,^b
die Sjefe'la en die land van die Filistyne.^c
Hulle sal die gebied van E'fraim en die gebied van Samari'a in besit neem,^d

a Jer 49:17, 18
Ese 35:15

b Am 9:11, 12

c Jes 11:14
Am 1:8

d 2Kn 17:24
Jer 31:5, 6

Tweede kol.

a Ps 122:6, 7

b 1Kn 17:9

c Jer 13:19
Jer 33:13

d Ps 149:6, 7
Ese 35:11

e Ps 22:28
Sag 14:9

en Benjamin sal Gi'lead in besit neem.

- 20** Aan die ballinge* van hierdie vesting,^{#a}

aan die volk Israel sal die land van die Kanaäniete tot by Sarfat^b behoort.

En die ballinge van Jerusalem, wat in Sefa'rad was, sal die stede van die Negeb besit.^c

- 21** En redders sal teen die berg Sion opgaan

om die bergstreek van Esau te oordeel,^d

en die koningskap sal Jehovah s'n word.^e

- 20** *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. #Of "skans".

JONA

O O R S I G

- Jona probeer van Jehovah vlug (1-3)
Jehovah laat groot storm opkom (4-6)
Jona die oorsaak van probleem (7-13)
Jona in stormagtige see gegooi (14-16)
Groot vis sluk Jona in (17)
- Jona se gebed binne-in vis (1-9)
Jona op droë grond uitgebraak (10)
- Jona gehoorsaam God; gaan na Nineve (1-4)

- Jona se boodskap; Nineviete toon berou (5-9)
God besluit om Nineve te spaar (10)
- Jona word kwaad en wil sterf (1-3)
Jehovah leer Jona 'n les oor genade (4-11)
"Is dit reg dat jy so kwaad is?" (4)
Les van kalbasplant (6-10)

1 Dit is die woord van Jehovah aan Jona,^{*a} die seun van Amit'tai: **2** "Staan op, gaan na Ni'neve^b die groot stad, en verkondig oordeel teen die stad,

1:1 *Betekens "duif".

HFST. 1

a 2Kn 14:25
Lu 11:29, 30

want ek weet van hulle slegtheid."

3 Maar Jona het opgestaan om na Tarsis te vlug, weg van Jehovah af. Hy het na Joppe gegaan en 'n skip gevind wat na Tarsis gaan. Toe het hy vir die

b Mt 12:41

reis betaal en op die skip geklim om saam met hulle na Tarsis te gaan, weg van Jehovah af.

4 Toe het Jehovah 'n sterk wind oor die see laat opkom, en daar was so 'n groot storm op die see dat die skip op die punt was om te vergaan. **5** Die seemanne was so bang dat elkeen van hulle tot sy god om hulp begin roep het. En hulle het die goed wat in die skip was, in die see begin gooi om dit ligter te maak.^a Maar Jona het na die onderste deel van die skip gegaan, en hy het daar gaan lê en vas aan die slaap geraak. **6** Die skeepskaptein het na hom toe gekom en vir hom gesê: "Hoekom slaap jy? Staar op, roep tot jou god! Miskien sal die ware God toon dat hy vir ons omgee en sal ons nie doodgaan nie."^b

7 Toe het hulle vir mekaar gesê: "Kom ons werp die lot^c om uit te vind wie vir hierdie ramp blameer moet word." Hulle het toe die lot gewerp, en die lot het op Jona geval.^d **8** Hulle het vir hom gesê: "Sê asseblief vir ons of dit jou skuld is dat hierdie ramp ons getref het. Wat is jou werk, en waar kom jy vandaan? Uit watter land kom jy, en van watter volk is jy?"

9 Hy het geantwoord: "Ek is 'n Hebreër, en ek vrees* Jehovah, die God van die hemel, die Een wat die see en die droë grond gemaak het."

10 Toe die manne dit hoor, het hulle nog banger geword, en hulle het vir hom gevra: "Wat het jy gedoen?" (Die manne het uitgevind dat hy van Jehovah af weggehardloop het, omdat hy hulle vertel het.) **11** Hulle het toe vir hom gevra: "Wat moet ons met jou doen om die see vir ons te laat bedaar?" Want die

1:9 *Of "aanbid".

HFST. 1

a Han 27:18, 38

b Jon 3:9

c Spr 16:33
Spr 18:18

d Jos 7:14, 18
1Sa 14:42, 43

Tweede kol.

a Da 6:26, 27

b Mt 12:39, 40
Mt 16:4
Lu 11:29, 30

HFST. 2

c Ps 91:14, 15
Mt 12:40

d Ps 120:1

e Ps 130:1, 2

f Ps 69:1

g Ps 42:7

see het al hoe stormagtiger geword. **12** Hy het geantwoord: "Tel my op en gooi my in die see, en die see sal vir julle bedaar, want ek weet dat hierdie groot storm weens my oor julle gekom het." **13** Maar die manne het hard geroei* om die skip na die droë grond terug te bring, maar hulle kon nie, want die see het al hoe stormagtiger om hulle geword.

14 Toe het hulle tot Jehovah geroep en gesê: "Ag, o Jehovah, moet ons asseblief nie weens hierdie man laat doodgaan nie! Moet ons nie verantwoordelik hou vir onskuldige bloed nie, want u het gedoen wat u gedink het goed is, o Jehovah!" **15** Toe het hulle Jona opgetel en hom in die see gegooi, en die woede van die see het bedaar. **16** Die manne is toe met groot vrees vir Jehovah gevul,^a en hulle het 'n offerande aan Jehovah gebring en geloftes gemaak.

17 Jehovah het toe 'n groot vis gestuur om Jona in te sluk, en Jona was drie dae en drie nagte in die vis se maag.^b

2 Toe het Jona uit die vis se maag tot Jehovah sy God gebid^c **2** en gesê:

"Toe ek in die nood was, het ek tot Jehovah geroep, en hy het my geantwoord.^d

Uit die dieptes* van die Graf^e het ek om hulp geroep.^e

U het my stem gehoor.

3 Toe u my in die dieptes gegooi het, in die hart van die oop see, het die strome my ingesluk.^f Al u branders en golwe het oor my gespoel.^g

1:13 *Of "het daardeur probeer kom".
2:2 *Lett. "maag". #Of "Sjool". Sien Woordelys.

- 4** En ek het gesê: ‘U het my voor u oë verdryf!
Hoe sal ek u heilige tempel weer sien?’
- 5** Waters het my ingesluk, en my lewe was in gevaar.^a
Die waterdiepte het my toegevoeu.
See gras was om my kop gedraai.
- 6** Na die voet van die berge het ek neergedal.
Die deure van die aarde was besig om vir ewig bo my toe te maak.
Maar u het my lewe uit die graf opgetrek, o Jehovah my God.^b
- 7** Toe ek besig was om te vergaan, het ek aan Jehovah gedink.^c
Toe het my gebed u bereik in u heilige tempel.^d
- 8** Dié wat aan die waardelose afgode toegewy is, verlaat hulle bron van lojale liefde.*
- 9** Maar ek sal offerandes aan u bring deur u te dank.
Ek sal doen wat ek belowe het.^e
Redding kom van Jehovah.^f

10 Ná ’n ruk het Jehovah die vis ’n bevel gegee, en hy het Jona op die droë grond uitgebraak.

3 Toe het Jehovah ’n tweede boodskap aan Jona gestuur en gesê:^g **2** “Staan op, gaan na Ni’neve^h die groot stad, en verkondig die boodskap daar wat ek aan jou gee.”

3 Toe het Jona opgestaan en na Ni’neveⁱ gegaan uit gehoorsaamheid aan die woord van Jehovah.^j Ni’neve was ’n baie groot stad* – dit het drie dae geneem om van die een kant na

2:8 *Of moontlik “hulle lojaliteit”. **3:3** *Lett. “’n stad wat groot was vir God”.

HFST. 2

a Ps 69:1

b Ps 16:10
Ps 30:3
Jes 38:17
Han 2:31

c Ps 142:2, 3
Ps 143:4, 5

d Ps 18:6

e Ps 50:14

f Ps 3:8
Jes 12:2

HFST. 3

g Jon 1:1, 2

h Ge 10:8, 11
Na 1:1
Sef 2:13

i Ge 10:8, 11

j Jon 2:9

Tweede kol.

a Eks 9:20
Mt 12:41
Lu 11:32

b Lu 11:32

c Jer 18:7, 8
Ese 18:21-23
Jon 4:2

die ander kant te stap. **4** Toe het Jona die stad binnegegaan, en terwyl hy ’n dag lank gestap het, het hy verkondig: “Binne net 40 dae sal Ni’neve vernietig word.”

5 En die manne van Ni’neve het geloof in God gestel,^a en hulle het afgekondig dat die mense moet vas, en almal het saklinne aangetrek, van die kleinste tot die grootste onder hulle. **6** Toe die boodskap die koning van Ni’neve bereik, het hy van sy troon af opgestaan en sy koninklike klere uitgetrek en saklinne aangetrek en in die as gaan sit. **7** Hy het ook die volgende aankondiging oral in Ni’neve laat maak:

“Op bevel van die koning en sy leiers: Geen mens of dier, beeste of kleinvee, mag enigiets eet nie. Hulle mag nie kos eet nie, en hulle mag glad nie water drink nie. **8** Laat die mense saklinne aantrek, en laat hulle ook die diere daarmee bedek, en laat hulle ernstig tot God roep en ophou om slegte dinge te doen en gewelddadig op te tree. **9** Wie weet of die ware God dalk van besluit sal verander* en nie meer woedend sal wees nie? Dan sal ons nie sterf nie.”

10 Toe die ware God sien wat hulle gedoen het, dat hulle nie meer slegte dinge doen nie,^b het hy van besluit verander* en nie meer die ramspoed gebring wat hy gesê het hy oor hulle sou bring nie.^c

4 Maar dit het Jona baie ontstel, en hy het baie kwaad geword. **2** Toe het hy tot Jehovah gebid en gesê: “Ag, Jehovah, dit is presies waaroor ek

3:9 *Of “spyt sal voel oor sy besluit”.

3:10 *Of “het hy spyt gevoel oor sy besluit”.

bekommerd was toe ek in my eie land was. Dit is hoekom ek in die eerste plek na Tarsis^a probeer vlug het, want ek het geweet dat u 'n God is wat medelye* betoon en genadig is, wat nie gou kwaad word nie en vol lojale liefde^b is en wat sleg voel oor rampspoed. **3** O Jehovah, neem nou asseblief my lewe,* want dit is beter vir my om te sterf as om te lewe.”^c

4 Jehovah het gevra: “Is dit reg dat jy so kwaad is?”

5 Jona het toe uit die stad gegaan en oos van die stad gaan sit. Hy het daar vir hom 'n skuiling gemaak en in die skaduwee daarvan gesit om te sien wat met die stad sou gebeur.^d **6** Jehovah God het toe 'n kalbasplant* oor Jona laat opkom om vir hom skaduwee oor sy kop te gee en hom beter te laat voel. En Jona was baie bly oor die kalbasplant.

7 Maar die ware God het met dagbreek die volgende dag 'n wurm gestuur, en dit het aan

4:2 *Sien Woordelys. 4:3 *Of “siel”. 4:6 *Of moontlik “kasterolieplant”.

HFST. 4

a Jon 1:3

b Eks 34:6
Ps 78:38
Ps 86:5
Ps 145:8c Nu 11:11, 15
1Kn 19:2, 4
Job 6:8, 9

d Jon 3:4

Tweede kol.

a Jon 4:3

b Jon 4:4

c Ps 36:6
Ps 145:9

d Jon 3:3

die kalbasplant gevreet, en dit het verlep. **8** Toe die son begin skyn het, het God ook 'n verskroeiende oostewind gestuur, en die son het op Jona se kop bly steek, en hy het amper flou geword. Hy het bly vra om te sterf,* en hy het oor en oor gesê: “Dit is beter vir my om te sterf as om te lewe.”^a

9 God het vir Jona gevra: “Is dit reg dat jy so kwaad is oor die kalbasplant?”^b

Toe het hy gesê: “Ek het die reg om kwaad te wees, so kwaad dat ek wil sterf.”

10 Maar Jehovah het gesê: “Jy het jammer gevoel vir die kalbasplant, waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie laat groei het nie. Dit het in een nag gegroei en in een nag doodgemaak. **11** In Ni'neve is daar meer as 120 000 mense wat nie eers die verskil tussen reg en verkeerd* ken nie, asook baie diere.^c Moet ek nie ook vir hierdie groot stad jammer voel nie?”^d

4:8 *Of “dat sy siel mag sterf”. 4:11 *Of “hulle regter- en hulle linkerhand”.

MIGA

OORSIG

- Oordeel teen Samaria en Juda (1-16)
Sondes en opstandigheid
veroorzaak die probleme (5)
- Dit sal sleg gaan met
onderdrukkers! (1-11)
Israel verenig (12, 13)
Land sal gons van mense (12)
- Leiers en profete veroordeel (1-12)
Miga met krag gevul deur Jehovah
se gees (8)

- Priesters onderrig teen 'n prys (11)
Jerusalem sal verwoes word (12)
- Berg van Jehovah (1-5)
Swaarde in ploegskare verander (3)
“Ons sal wandel in die naam van
Jehovah” (5)
Herstelde Sion sal versterk word (6-13)
- Heerser wie se grootheid tot aan
eindes van aarde sal reik (1-6)
Heerser sal uit Betlehem kom (2)

- Oorblywendes soos dou en soos leeu (7-9)
Land sal gereinig word (10-15)
- 6 God se regsak teen Israel (1-5)
Wat verwag Jehovah? (6-8)
Geregtigheid, lojaliteit, beskeidenheid (8)
Israel se sondes en hulle straf (9-16)

- 7 Israel se slegte sedelike toestand (1-6)
Eie familieledes is jou vyande (6)
"Ek sal geduldig wag" (7)
God se volk word verdedig (8-13)
Miga bid tot God en prys hom (14-20)
Jehovah se antwoord (15-17)
'Wie is 'n God soos Jehovah?' (18)

1 Dit is die woord van Jehovah aan Miga^a van Moreset. Hy het dit in 'n visioen oor Samari'a en Jerusalem ontvang in die dae van Jotam,^b Agas^c en Hiski'a,^d konings van Juda:^e

2 "Luister, alle volke!

Skenk aandag, o aarde en alles daarop.

Laat die Soewereine Heer Jehovah as 'n getuie teen julle dien^f

- Jehovah uit sy heilige tempel.

3 Want Jehovah verlaat sy woonplek.

Hy sal neerdaal en op die hoë plekke van die aarde loop.

4 Die berge sal onder hom smelt,^g en die valleie sal oopskeur soos was voor die vuur, soos waters wat teen 'n steil helling afgegooi word.

5 Dit alles gebeur weens die opstandigheid van Jakob, weens die sondes van die huis van Israel.^h

Wat is die opstandigheid van Jakob?

Is dit nie Samari'a nie?ⁱ

En wat is die offerhoogtes van Juda?^j

HFST. 1

a Jer 26:18

b 2Kn 15:32-34
2Kr 27:1, 2

c 2Kn 16:1, 2

d 2Kn 18:1-3
2Kr 29:1, 2

e Jes 1:1
Ho 1:1

f Ps 50:7

g Riq 5:5
Ps 97:5

h 2Kn 17:7, 8

i Ho 7:1

j 2Kn 16:2, 4

Tweede kol.

a Le 26:30
Ho 8:6

b Ho 2:5
Ho 9:1

c Jer 4:19

d Jes 20:2

e Jes 1:5, 6
Jer 15:18

f 2Kn 18:13
Jes 8:7, 8

g 2Kr 32:2
Mi 1:12

Is dit nie Jerusalem nie?

6 Ek sal Samari'a 'n verwoeste plek in die veld maak, 'n plek om wingerde te plant.

Ek sal haar klippe in die valleie afgooi, en ek sal haar fundamente laat oop lê.

7 Al haar beelde sal stukkend geslaan word,^a en al die geskenke wat sy as loon vir haar prostitusie ontvang het, sal met vuur verbrand word.^b

Ek sal al haar afgode vernietig.

Want sy het dit bymekaargemaak uit wat sy weens haar prostitusie verdien het,

en dit sal weer die loon van prostitute word.^c

8 Daarom sal ek huil en treur.^c

Ek sal kaalvoet en kaal loop.^d

Ek sal huil soos 'n jakkals en treur soos 'n volstruis.

9 Want haar wond kan nie genees word nie,^e en dit het tot by Juda gekom.^f

Die plaag het versprei tot by die poort van my volk, tot by Jerusalem.^g

10 "Moet dit nie in Gat bekend maak nie.

1:1 *'n Verkorte vorm van Migael (wat "wie is soos God?" beteken) of Migaja (wat "wie is soos Jehovah?" beteken).

Julle moet glad nie huil nie.
Rol in die stof in Bet-Afra.*

- 11** Trek weg in naaktheid en skande, o inwoners van Safir.

Die inwoners van Saānan het nie uitgekom nie.
Daar sal 'n gehuil in Bet-Esel wees, en hulle sal julle nie meer ondersteun nie.

- 12** Die inwoners van Marot het op iets goeds gewag, maar iets slegs het van Jehovah neergedaal tot by die poort van Jerusalem.

- 13** Span die perde voor die wa, o inwoners van Lagis.^a
Julle was die begin van sonde vir die dogter van Sion, want die opstandige dade van Israel is in jou gevind.^b

- 14** Daarom moet jy afskeidsgeskenke aan More'set-Gat gee.

Die huise van Agsib^c was iets bedriegliks vir die konings van Israel.

- 15** Ek sal die veroweraar na julle toe bring,^d o inwoners van Mare'sa.^e

Die heerlijkheid van Israel sal tot by Adul'lam^f kom.

- 16** Sny julle hare en skeer julle koppe kaal vir julle geliefde kinders.

Skeer julle koppe so kaal soos dié van 'n arend, want hulle is in ballingskap van julle weggeeneem.^g

- 2** "Dit sal sleg gaan met dié wat skadelike dinge beplan, dié wat op hulle beddens slegte planne beraam! Wanneer die oggendlig kom, voer hulle dit uit

HFST. 1

a Jos 15:20, 39
2Kn 18:14

b 1Kn 14:16
2Kn 16:2, 3
Jer 3:8

c Jos 15:20, 44

d Jer 7:17

e 2Kr 11:5, 8

f Ne 11:25, 30

g De 28:41
2Kn 17:6
Jes 39:7

Tweede kol.

HFST. 2

a 1Kn 21:7

b Eks 20:17
1Kn 21:2
Jes 5:8

c Jer 22:17
Ese 22:12, 29

d Jer 18:11

e Am 2:14

f Jes 2:11

g Am 5:13

h Jer 9:10
Klg 1:1

i Jes 6:11
Jer 25:9
Sef 1:2

j 2Kn 17:23

omdat hulle die mag het om dit te doen.^a

- 2** Hulle begeer die velde en huise van ander^b en wat dit af.

Deur bedrog beroof hulle 'n man van sy huis^c en sy erfdeel.

- 3** Daarom sê Jehovah: 'Ek beplan om rampspoed oor julle te bring^d waarvan julle nie sal ontsnap nie.^e

Julle sal nie meer so hoogmoedig wees nie,^f want dit is 'n tyd van rampspoed.^g

- 4** In daardie dag sal mense oor julle praat, en hulle sal bitterlik treur oor julle.^h

Hulle sal sê: "Ons is heeltemal verpletter!"

Hy het ons erfdeel van ons af weggeeneem en dit vir iemand anders gegee!ⁱ
Hy het ons grond vir die ontroue gegee."

- 5** Daarom sal daar niemand in die gemeente van Jehovah wees

om die land met 'n maatlyn uit te meet en dit toe te ken nie.

- 6** "Hou op profeteer!" sê hulle.

"Hulle moenie hierdie dinge profeteer nie.

Ons sal nie verneder word nie!"

- 7** O huis van Jakob, daar word gesê:

"Het die gees van Jehovah ongeduldig geword?

Is dit sy dade?"

Bring my woorde nie goeie dinge vir dié wat bly by wat reg is nie?

- 8** Maar onlangs het my volk soos 'n vyand teen my opgestaan.

1:10 *Of "in die huis van Afra".

Julle ruk die pragtige versiering saam met* die kledingstuk af van dié wat vol vertroue verbygaan, soos dié wat van die oorlog af terugkeer.

- 9** Julle jaag die vrouens van my volk uit hulle gerieflike huise.
Julle neem my seëninge vir ewig van hulle kinders af weg.
- 10** Staan op en gaan, want dit is nie 'n rusplek nie.
As gevolg van onreinheid^a is daar verwoesting, vreeslike verwoesting.^b
- 11** As 'n man agter wind en leuens aanloop en hierdie leuen vertel:
"Ek sal vir jou oor wyn en drank profeteer," dan sal hy net die regte profeet vir hierdie volk wees!^c
- 12** Ek sal julle almal beslis versamel, o Jakob.
Ek sal die oorblywendes van Israel vir seker bymekaarmaak.^d
Ek sal hulle verenig soos skape in 'n kraal, soos 'n kudde in die weiveld.^e
Die land sal gons van mense.^f
- 13** Die een wat uitbreek, sal voor hulle uit gaan.
Hulle sal uitbreek en deur die poort na buite gaan.^g
Hulle koning sal voor hulle uit gaan, en Jehovah sal hulle almal lei."^h
- 3** Ek het gesê: "Luister asseblief, hoofde van Jakob en leiers van die huis van Israel."ⁱ

2:8 *Of moontlik "van".

HFST. 2

a Ps 106:38, 39

b Jer 9:19
Jer 10:18

c 1Kn 22:6, 8
Jes 9:15, 16
Jer 6:13, 14
Ese 13:2, 3

d Jes 11:11
Jer 23:3
Jer 31:7, 8
Mi 4:6

e Ese 34:11

f Ese 36:38
Sag 8:22

g Jes 62:10

h Jes 49:10
Jes 52:12

HFST. 3

i Mi 3:9

Tweede kol.

a 1Kn 22:8
Am 5:10

b 2Kr 19:2

c Ese 22:27
Am 8:4
Sef 3:3

d Ese 34:2, 3

e Jes 3:15

f Klg 3:44

g De 31:17, 18
Jes 1:15
Jes 3:11

h Jes 9:15, 16
Jes 56:10

i Jer 23:16, 17
Ese 13:10

j Ese 13:19
Ese 34:2

k Jer 13:16

l Ps 74:9
Ese 13:23

m Jes 59:9, 10
Am 8:9

n Jes 29:10

Behoort julle nie te weet wat reg is nie?

- 2** Maar julle haat wat goed is^a en is lief vir wat sleg is.^b
Julle trek die velle van my volk af, en die vlees van hulle gebeente.^c
- 3** Julle eet ook die vlees van my volk^d en trek hulle velle af.
Julle breek hulle bene en slaan dit stukkend,^e soos vleis wat in 'n pot gekook gaan word.
- 4** Dan sal hulle tot Jehovah om hulp roep, maar hy sal hulle nie antwoord nie.
Hy sal in daardie tyd sy gesig van hulle af wegdraai^f as gevolg van hulle goddelose dade.^g
- 5** Dit is wat Jehovah sê teen die profete wat my volk mislei,^h wat vrede verkondigⁱ terwyl hulle iets het om te kou,^j maar oorlog verklaar teen die een wat niks in hulle monde sit nie:
- 6** 'Daar sal vir julle nag wees.^k Daar sal geen visioene wees nie.^l
Daar sal net duisternis vir julle wees, geen waarsêery nie.
Die son sal vir die profete ondergaan, en die dag sal vir hulle donker word.^m
- 7** Die sieners sal verneder word,ⁿ en die waarsêers sal teleurgesteld wees.
Hulle almal sal hulle gesigte in skaamte moet bedek,^{*}

3:5 *Of moontlik "terwyl hulle met hulle tande byt". 3:7 *Of "hulle snorre moet bedek".

want daar kom geen antwoord van God af nie.”

- 8** Maar ek is deur die gees van Jehovah gevul met krag en met geregtigheid en mag om aan Jakob sy opstandige daade bekend te maak, en aan Israel sy sonde.
- 9** Luister asseblief hierna, hoofde van die huis van Jakob en leiers van die huis van Israel,^a wat geregtigheid haat en wat alles wat reguit is, krom maak,^b
- 10** wat Sion op bloed bou, en Jerusalem op onregverdigheid.^c
- 11** Haar leiers oordeel vir 'n omkoopgeskenk,^d haar priesters onderrig teen 'n prys^e en haar profete beoefen waarsêery vir geld.^{*f} En tog beweer hulle dat hulle op Jehovah vertrou, en sê:
“Is Jehovah nie met ons nie?”^g
Geen rampspoed sal oor ons kom nie.”^h
- 12** Daarom sal Sion weens julle soos 'n landery omgeploeg word, Jerusalem sal verwoes* wordⁱ en die Tempelberg sal soos die hoogtes in 'n woud[#] word.^j
- 4** Aan die einde van die dae* sal die berg van die huis van Jehovah^k stewig gevestig word bo die top van die berge, en dit sal bo die heuwels verhewe wees,

3:11 *Of “silwer”. 3:12 *Of “n ruïne”.
#Of “n beboste heuwel”. 4:1 *Of “In die laaste dae”.

HFST. 3

a Mi 3:1

b De 27:19
Jer 5:28

c Jer 22:13

d Jes 1:23
Jes 5:20, 23
Ese 22:12

e Jer 6:13

f Jes 56:10, 11

g Jes 48:1, 2
Jer 7:4

h Am 9:10

i Ps 79:1

j Jer 26:18

HFST. 4

k Jes 11:9
Sag 8:3

Tweede kol.

a Ps 86:9
Jes 2:2-4
Jes 60:3
Op 15:4

b Jer 31:6
Sag 8:20, 21

c 1Sa 2:10
Ps 96:13
Jes 51:4, 5

d Ho 2:18
Sag 9:10

e Ps 72:7
Jes 9:7
Jes 60:18

f Sag 3:10

g Jes 54:14
Ese 34:25
Ese 39:25, 26

h Sag 10:12

i Ps 147:2
Jes 56:8
Ese 34:12, 16
Ese 37:21
Sef 3:19

en volke sal daarheen stroom.^a

- 2** En baie nasies sal gaan en sê:
“Kom, laat ons opgaan na die berg van Jehovah en na die huis van die God van Jakob.^b

Hy sal ons sy weë leer, en ons sal dit volg.”

Want die wet* sal uit Sion kom, en die woord van Jehovah uit Jerusalem.

- 3** Hy sal oordeel tussen baie volke^c en sake regstel in verband met magtige nasies wat ver is.

Hulle sal ploegskare maak van hulle swarde, en snoeimesse van hulle spiese.^d

Nasie sal nie teen nasie die swaard opneem nie, en hulle sal ook nie meer leer om oorlog te voer nie.^e

- 4** Hulle sal elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom sit,^f en niemand sal hulle bang maak nie,^g want Jehovah van die leërmagte het dit gesê.

- 5** Want wat al die volke betref, elkeen sal in die naam van sy god wandel, maar ons sal wandel in die naam van Jehovah ons God,^h vir ewig en altyd.

- 6** “In daardie dag,” sê Jehovah,
“sal ek die een versamel wat mank was en die een bymeekaarmaak wat verstrooi is,ⁱ saam met dié wat ek laat swaarkry het.

4:2 *Of “onderrigting”.

- 7** Ek sal van die een wat mank was, 'n oorblyfsel bewaar,^a en ek sal die een wat ver weg was, 'n magtige nasie maak.^b En Jehovah sal as koning oor hulle regeer op die berg Sion, van nou af en tot in alle ewigheid.
- 8** En wat jou betref, o toring van die kudde, die heuwel van die dogter van Sion,^c die heerskappy van vroeër* sal weer joune word,^d die koninkryk wat aan die dogter van Jerusalem behoort.^e
- 9** Hoekom skree jy so hard? Het jy nie 'n koning nie? Of het jou raadgewer gesterf? Is dit waarom pyn jou oorval het soos dié van 'n vrou wat geboorte gee?^f
- 10** Krimp ineen van pyn en kreun, o dogter van Sion, soos 'n vrou wat geboorte gee, want nou sal jy uit die stad gaan en in die veld bly. Jy sal tot by Babilon gaan,^g en daar sal jy gered word.^h Daar sal Jehovah jou uit die hand van jou vyande terugkoop.ⁱ
- 11** Nou sal baie nasies teen jou versamel word. Hulle sal sê: 'Laat Sion onteer word, en laat ons sien dat dit met haar gebeur.'
- 12** Maar hulle ken nie Jehovah se gedagtes nie, en hulle verstaan nie sy voorneme* nie.

4:8 *Of "eerste heerskappy". 4:12 *Of "raad".

HFST. 4

a Jes 10:21
Mi 2:12
Mi 7:18

b Jes 60:22

c 2Sa 5:7

d Ob 21

e Sag 9:9

f Jer 30:6

g 2Kn 20:18
2Kr 36:17, 20

h Jes 45:13
Sag 2:7

i Ps 107:2, 3
Jes 48:20
Jer 15:21

Tweede kol.

a Jes 41:15

b Sag 9:13

c Jos 6:18, 19
Jes 23:17, 18

HFST. 5

d De 28:52

e Mt 26:67
Joh 18:22
Joh 19:3

f Ge 35:19
Lu 2:4

g Ge 49:10
1Kr 5:2
Jes 9:6
Mt 2:4-6
Lu 1:32, 33
Lu 2:11
Joh 7:42

h Ese 34:23
Ese 37:24

i Jer 23:5, 6

Want hy sal hulle byme-
kaarmaak soos 'n ry pas
gesnyde graan op die
dorsvloer.

- 13** Staan op en dors graan,
o dogter van Sion,^a
want ek sal jou horings in
yster verander,
en ek sal jou hoewe in
koper verander,
en jy sal baie volke ver-
pletter.^b Jy sal hulle oneerlike wins
aan Jehovah wy,
en hulle rykdom aan die
ware Heer van die hele
aarde."^c

5 "Nou sny jy jou stukkend,
o dogter wat aangeval word.
Ons word beleër.^d Hulle slaan die regter van
Israel met 'n stok op die
wang."^e

- 2** En jy, o Betlehem E'frata,^f
wat te klein is om onder die
duisende* van Juda ge-
noem te word,
uit jou sal daar vir my die
een kom wat heerser in
Israel sal wees.^g Sy oorsprong is uit die
verre verlede, uit die dae
van lank gelede.

3 Daarom sal hy hulle verlaat
totdat sy wat geboorte
moet gee, wel geboorte
gee.

En die res van sy broers
sal na die Israeliete
terugkeer.

- 4** Hy sal opstaan en as herder
optree in die krag van
Jehovah,^h
in die magtige naam van
Jehovah sy God.
En hulle sal in veiligheid
woon.ⁱ

5:2 *Of "familiegroepe".

want dan sal sy grootheid tot aan die eindes van die aarde reik.^a

- 5** En hy sal vrede bring.^b
As die Assiriër ons land binneval en ons versterkte torings vertrap,^c sal ons sewe herders teen hom laat opstaan, ja, agt prinse* uit die mensdom.
- 6** Hulle sal met die swaard as herder optree teen die land Assi'rië^d en teen die land van Nimrod^e by sy ingange. En hy sal ons van die Assiriër red^f wanneer hy ons land binneval en in ons gebied kom.
- 7** Die oorblywendes van Jakob sal tussen baie volke wees soos dou van Jehovah en soos reënbuie op die plante, wat nie op die mens hoop of op die mensekinders wag nie.
- 8** Die oorblywendes van Jakob sal onder die nasies wees, tussen baie volke, soos 'n leeu onder die diere van 'n woud, soos 'n jong leeu* onder troppe skape, wat tussen hulle deurgaen en vertrap en verskeur, en daar is niemand wat hulle kan red nie.
- 9** Jy sal jou teenstanders oorwin,^{*} en al jou vyande sal vernietig word.”
- 10** “In daardie dag,” sê Jehovah,

5:5 *Of “hertoë; leiers”. 5:8 *Of “jong maanhaarleeu”. 5:9 *Lett. “Jou hand sal hoog oor jou teenstanders wees”.

HFST. 5
a Sag 9:9, 10

b Jes 9:6

c Jes 8:7

d Jes 33:1

e Ge 10:9-11

f Jes 14:25

Tweede kol.

a Jes 2:6
Jes 8:19

b Jes 2:8
Ese 36:25
Ho 14:3
Sag 13:2

c Jes 27:9

HFST. 6

d Jes 5:3

e Ps 50:1, 4
Jes 1:2

f Jes 43:26
Jer 2:35
Ho 4:1

g Jer 2:5

h Eks 12:51
De 4:20

i De 7:8

j Eks 15:20

“sal ek jou perde uitroei en jou strydwaens vernietig.

- 11** Ek sal die stede van jou land vernietig en al jou versterkte plekke afbreuk.
- 12** Ek sal 'n einde maak aan jou towery, en niemand wat toorkuns beoefen, sal in jou oorbly nie.^a
- 13** Ek sal jou beelde en jou pilare vernietig, en jy sal nie meer voor die werk van jou hande neerbuig nie.^b
- 14** Ek sal jou heilige pale* uitruk^c en jou stede vernietig.
- 15** In vurige woede sal ek wraak neem op die nasies wat nie gehoorsaam was nie.”
- 6** Luister asseblief na wat Jehovah sê.
Staan op, stel jou saak voor die berge, en laat die heuwels jou stem hoor.^d
- 2** Luister, o berge, na die regspraak van Jehovah, luister, vaste fondamente van die aarde,^e want Jehovah het 'n regspraak met sy volk.
Hy sal in sy regspraak teen Israel sê:^f
- 3** “My volk, wat het ek aan jou gedoen? Hoe het ek jou moeg gemaak?^g
Getuig teen my.
- 4** Want ek het jou uit Egipte uitgelei,^h ek het jou uit die huis van slawerny verlos.ⁱ
Ek het Moses, Aäron en Mirjam voor jou uit gestuur.^j

5:14 *Sien Woordelys.

- 5** My volk, dink asseblief aan wat Balak, die koning van Moab, beplan het^a en wat Bi'leam, die seun van Beor, hom geantwoord het^b – wat van Sittim^c tot by Gilgal^d gebeur het – sodat jy kan weet dat Jehovah doen wat regverdig is.”
- 6** Waarmee sal ek voor Jehovah verskyn?
Waarmee sal ek neerbuig voor God wat in die hoogte woon?
Sal ek voor hom verskyn met heelbrandoffers, met jaaroud kalwers?^e
- 7** Sal duisende ramme of tienduisende strome olie Jehovah bly maak?^f
Sal ek my eersgebore seun gee vir my opstandigheid, die vrug van my liggaam vir my sonde?^g
- 8** Hy het jou vertel, o mens, wat goed is.
En wat verwag Jehovah van jou?
Net dat jy geregtigheid moet beoefen, ^{*h} lojaliteit moet liefhê^hⁱ en beskeie moet wandel^j met jou God!^k
- 9** Die stem van Jehovah roep na die stad.
Dié wat praktiese wysheid het, sal u naam vrees.
Skenk aandag aan dissipline en aan die Een van wie dit kom.^l
- 10** Is daar nog steeds skatte van goddeloosheid in die huis van die goddelose, en die onakkurate efa,^{*} wat God haat?

6:8 *Of “regverdig moet wees”. ^aOf “goedhartig en lojaal moet wees in jou liefde”. Lett. “lojale liefde moet liefhê”.
6:10 *Sien Aanh. B14.

- HFST. 6**
a Nu 22:5, 6
b Nu 23:7, 8
Nu 24:10
Op 2:14
c Nu 25:1
Nu 33:48, 49
d Jos 4:19
e 1Sa 15:22
Ps 51:16, 17
Jes 1:11
f Ps 50:8-15
g 2Kn 3:26, 27
Ese 16:20
h Spr 21:3
Jes 1:17
Jer 22:3
Ese 45:9
Ho 12:6
i Spr 3:3
Ho 6:6
Sag 7:9
j Spr 8:13
k De 10:12, 13
l Jes 9:13

Tweede kol.

- a De 25:13
Spr 11:1
Ho 12:7
b Jes 59:3
Mi 7:2
c Jer 9:3
d Jes 1:5
e Le 26:26
Ese 4:16
Ho 4:10
f De 28:38
Jer 12:13
Jl 1:10
Am 5:11
g 1Kn 16:25, 30
2Kn 16:2, 3
2Kn 21:1, 3
h Jer 19:8
i Ps 44:13
Jer 51:5
Klg 5:1
Da 9:16

- 11** Kan ek sedelik rein^{*} wees met 'n valse weegskaal, met 'n sak vol valse gewigte?^a
- 12** Want die stad se rykes is vol gewind, en haar inwoners vertel leuens.^b
Hulle tong is bedrieglik.^c
- 13** “Daarom sal ek jou wond deur jou te slaan,^d ek sal jou verwoes as gevolg van jou sondes.
- 14** Jy sal eet, maar nie versadig word nie.
Jou binneste sal leeg wees.^e
Die dinge wat jy verwyder, sal jy nie veilig wegdra nie,
en wat jy wel wegdra, sal ek aan die swaard gee.
- 15** Jy sal saad saai, maar jy sal nie oes nie.
Jy sal olywe trap, maar jy sal nie die olie gebruik nie.
En jy sal nuwe wyn maak, maar jy sal geen wyn drink nie.^f
- 16** Want julle volg die reëls van Omri en al die gebruike van die huis van Agab,^g en julle lewe volgens hulle raad.
Daarom sal ek julle straf, en ek sal haar inwoners iets maak om oor te fluit.^h
En die volke sal met julle spot.”ⁱ
- 7** Dit gaan sleg met my! Ek is soos iemand wat, nadat die somervrugte ingesamel is en die oesoorblyfsels ná 'n druiwe-oes afgepluk is, geen druiwetros vind om te eet nie,
- 6:11** *Of “onskuldig”.

geen vroeë vy wat ek
begeer nie.

- 2** Die lojale het van die aarde
af verdwyn,
daar is geen mens wat reg
lewe nie.^a

Hulle lê en wag om mense
dood te maak.^b

Elkeen maak met 'n sleep-
net jag op sy broer.

- 3** Hulle weet baie goed hoe
om te doen wat sleg is.^c

Die leier stel eise,
die regter vra vir 'n belo-
ning,^d

die belangrike man sê wat
hy wil hê,^e
en hulle beraam hulle
planne saam.

- 4** Die beste onder hulle is
soos doringe,
die mees opregte is erger
as 'n doringheining.
Die dag van jou wagte en
van jou oordeel sal kom.^f
Dan sal hulle paniek-
bevange wees.^g

- 5** Moenie geloof stel in jou
vriend
of 'n goeie vriend vertrou
nie.^h
Pasop wat jy sê vir die een
wat in jou arms lê.

- 6** Want 'n seun haat sy pa,
'n dogter staan op teen
haar maⁱ
en 'n skoonogter is teen
haar skoonma.^j
'n Mens se eie familieledes^k
is sy vyande.^k

- 7** Maar ek sal op die uitkyk
bly vir Jehovah.^l
Ek sal geduldig wag op die
God van my redding.^m
My God sal my hoor.ⁿ

- 8** Moenie oor my bly wees
nie, o my vyand.*

7:6 *Of "huismense". 7:8 *In He-
breeus is die woord vir "vyand" in die
vroulike vorm.

HFST. 7

a Jes 57:1

b Jes 59:7

c Jer 3:5
Jer 4:22
Ese 22:6

d Jes 1:23
Mi 3:11

e 1Kn 21:5, 6

f Jes 10:3
Ese 12:23
Ho 9:7

g Jes 22:5

h Jer 9:4

i Ese 22:7

j Lu 12:53

k Jer 12:6
Mt 10:35, 36

l Ps 123:2
Jes 8:17

m Ps 25:5
Ps 62:1
Klg 3:26

n Ps 40:1
Jes 12:2
Jes 25:9

Tweede kol.

a Klg 1:18

b Ps 79:10
Ps 115:2
Jl 2:17

c Jes 11:16
Jes 27:13
Ho 11:11

d Jes 40:11

Al het ek geval, sal ek
opstaan.

Al woon ek in die duister-
nis, sal Jehovah my lig
wees.

- 9** Ek sal die woede van
Jehovah verduur
– want ek het teen hom
gesondig^a –
totdat hy my regsak ver-
dedig en vir my geregtig-
heid bring.

Hy sal my na die lig bring.
Ek sal sy regverdigheid
sien.

- 10** My vyand sal dit ook sien,
en skaamte sal kom oor
haar wat vir my gesê het:
"Waar is Jehovah jou
God?"^b

Ek sal na haar kyk
en sien hoe sy dan soos
modder in die strate
vertrap word.

- 11** Dit sal 'n dag wees om jou
klipmure te bou.
In daardie dag sal jou gren-
se uitgebrei word.*
12 In daardie dag sal hulle na
jou toe kom
van Assirië en die stede
van Egipte,
van Egipte tot by die
Rivier,*
van see tot see en van berg
tot berg.^c

- 13** En die land sal 'n verlate
plek word weens sy
inwoners,
as gevolg van wat hulle
gedoen het.

- 14** Lei u volk as herder met
u staf, die kudde van u
erfdeel,^d
wat alleen in 'n woud ge-
woon het – in 'n vrugte-
boord.

7:11 *Of moontlik "sal die bevel ver-
weg wees". 7:12 *Die Eufraatrivier.

Laat hulle in Basan en Gi'lead^a wei soos in die dae van lank gelede.

15 “Soos in die dae toe julle uit Egipte gekom het, sal ek julle wonderlike dinge laat sien.”^b

16 Nasies sal dit sien en skaam kry ten spyte van al hulle mag.^c

Hulle sal hulle hand oor hulle mond sit.

Hulle ore sal doof word.

17 Hulle sal stof lek soos slange.^d

Soos die reptiele van die aarde sal hulle bewend uit hulle vestings kom.

Hulle sal vol vrees na Jehovah ons God kom, en hulle sal vir u bang wees.”^e

HFST. 7

a Jer 50:19
Ese 34:23
b Ps 78:12
Jes 63:11
Jer 23:7, 8
c Ps 126:2
Jes 26:11
Jes 66:18
d Jes 49:23
e Jer 33:9

Tweede kol.

a Eks 34:6, 7
Jes 1:18
Jes 44:22
Jer 50:20
Da 9:9
b Jer 23:3
Jl 2:32
c Ps 103:9
Jes 57:16
Klg 3:22
d De 30:3
Ps 103:8, 13
Ho 2:19
e Ps 103:12
Jes 55:7
Jer 31:34
f Ge 22:17
Ps 105:8-11
Lu 1:72, 73
Han 3:25, 26

18 Wie is 'n God soos u, wat sondes vergewe en die oortredings^a van die oorblyfsel van sy erfdeel oorsien?^b

Hy sal nie vir ewig kwaad bly nie, want dit gee hom vreugde om lojale liefde te betoon.^c

19 Hy sal weer genade aan ons betoon.^d Hy sal ons oortredings vertrap.*

U sal al hulle sondes in die dieptes van die see gooi.^e

20 U sal u getrouheid aan Jakob toon, u lojale liefde aan Abraham, soos u lank gelede vir ons voorvaders gesweer het.^f

7:19 *Of “oorwin; onderwerp”.

NAHUM

OORSIG

- God se wraak teen sy vyande (1-7)
God vereis uitsluitlike toegewydheid (2)
Jehovah hou dié in gedagte wat by hom beskerming soek (7)
Nineve sal vernietig word (8-14)
Vernietiging sal nie tweede keer hoef te kom nie (9)
Goeie nuus verkondig vir Juda (15)

- Nineve sal verwoes word (1-13)
“Poorte van die riviere sal oopgemaak word” (6)
- “Dit sal sleg gaan met die stad van bloedskuld!” (1-19)
Redes vir Nineve se oordeel (1-7)
Nineve sal soos No-Amon val (8-12)
Nineve se val onvermydelik (13-19)

1 'n Oordeelsboodskap teen Ni'neve:^a Die boek van die visioen van Nahum,* die Elkosiet:

2 Jehovah is 'n God wat uitsluitlike toegewydheid

1:1 *Betekén “vertrooster”.

HFST. 1

a Jes 10:12
Na 3:7
Sef 2:13

Tweede kol.

a Eks 20:5
b De 32:35, 41
Jes 59:18

vereis^a en wat wraak neem.

Jehovah neem wraak en is gereed om aan sy woede uiting te gee.^b

Jehovah neem wraak op sy teenstanders,

en hy bewaar woede vir sy vyande.

- 3** Jehovah word nie gou kwaad nie^a en het groot krag,^b maar Jehovah sal nie straf terughou van dié wat dit verdien nie.^c
Hy gebruik verwoestende winde en storms, en die wolke is soos die stof van sy voete.^d

- 4** Hy bestraf die see,^e en hy laat dit opdroog, en hy laat al die riviere droogloop.^f

Basan en Karmel verlep,^g en die bloeïsele van die Li'banon-berge verlep.

- 5** Berge bewe as gevolg van hom, en die heuwels smelt.^h
Die aarde sal skud weens sy gesig, asook die land en almal wat daarin woon.ⁱ

- 6** Wie kan voor sy groot woede bly staan?^j
En wie kan sy gloeiende woede weerstaan?^k
Sy woede sal soos vuur uitgestort word, en die rotse sal in stukke gebreek word weens hom.

- 7** Jehovah is goed,^l 'n vesting in moeilike tye.^m
Hy hou dié in gedagte* wat by hom beskerming soek.ⁿ

- 8** Met 'n verwoestende vloed sal hy Ni'neve* heeltemal vernietig, en duisternis sal Sy vyande agtervolg.

- 9** Water planne sal julle teen Jehovah beraam?
Hy sal julle heeltemal vernietig.

1:7 *Of "sorg vir dié". Lett. "ken dié".
1:8 *Lett. "haar plek".

HFST. 1

a Nu 14:18

b Job 9:4

c Eks 34:6, 7

d Job 38:1

e Job 38:11
Ps 104:6, 7
Ps 107:29

f Jos 3:16

g Jes 33:9
Am 1:2

h 2Sa 22:8
Ps 68:7, 8

i Ps 97:4, 5
Jes 24:1

j Jer 10:10

k De 32:22

l Ps 136:1
Mt 19:17

m Ps 46:1
Ps 91:2
Spr 18:10
Jes 25:4

n Ps 1:6

Tweede kol.

a Jes 10:24, 25

b Jes 14:25

c Jes 52:7
Ro 10:15

d De 16:16

Hy sal vernietiging nie 'n tweede keer hoef te bring nie.^a

- 10** Want hulle is ineengevleg soos doringe, en hulle is soos dié wat dronk is van bier,^{*} maar hulle sal verkeer word soos droë strooi.
- 11** Uit jou sal daar iemand kom wat slegte planne teen Jehovah beraam, wat nuttelose raad gee.
- 12** Dit is wat Jehovah sê:
"Al was hulle sterk en baie, sal hulle selfs dan aangeval word en doodgaan.*
Ek het jou[#] laat swaarkry, maar ek sal jou nie meer laat swaarkry nie.
- 13** En nou sal ek sy juk breek wat op jou is,^b en ek sal jou bande in twee skeur.
- 14** Jehovah het aangaande jou* beveel:
'Jou naam sal nie meer voortbestaan nie.
Ek sal die uitgekerfde beelde en die metaalbeelde uit die tempel[#] van jou gode uitroei.
Ek sal vir jou 'n graf maak omdat jy niks beteken nie.'
- 15** Kyk! Op die berge is die voete van iemand wat goeie nuus bring, wat vrede verkondig.^c
Vier jou feeste,^d o Juda, betaal jou geloftes, want die nikswerd persoon sal nooit weer deur jou trek nie.
Hy sal heeltemal vernietig word."

1:10 *Of "koringbier". 1:12 *Of moontlik "en sal hy deurtrek". [#]D.w.s. Juda. 1:14 *D.w.s. Assirië. [#]Lett. "huis".

- 2** Iemand wat verstrooi, het teen jou* opgekom.^a
 Bewaak die vestings.
 Hou waak oor die pad.
 Maak jou gereed[#] en skraap al jou krag bymekaar.
- 2** Want Jehovah sal die trots van Jakob herstel, saam met die trots van Israel,
 want die verwoesters het hulle verwoes.^b
 Hulle het hulle jong takkies verwoes.
- 3** Die skilde van sy sterk manne is rooi gekleur.
 Sy vegters dra rooi kleren.
 Die ysterwapens van sy strydwa flits soos vuur op die dag dat hy gereedmaak vir oorlog,
 en die spiese van jeneverhout word rondgeswaai.
- 4** Die strydwaens jaag deur die strate.
 Hulle jaag op en af op die openbare pleine.
 Hulle skyn soos brandende fakkels en flits soos weerlig.
- 5** Hy sal sy amptenare laat roep.
 Hulle sal struikel terwyl hulle vorentoe gaan.
 Hulle jaag na haar muur toe.
 Hulle rig die versperring op.
- 6** Die poorte van die riviere sal ooggemaak word,
 en die paleis sal ineenstort.*
- 7** Dit is bepaal:* Sy is ontbloot,
 sy is weggeneem, en haar slavinne kerm.
 Hulle klink soos duiwe terwyl hulle op hulle bors[#] slaan.

2:1 *D.w.s. Nineve. [#]Lett. "Versterk die heupe". 2:6 *Lett. "wegsmelt". 2:7 *Of "vasgestel". [#]Lett. "harte".

HFST. 2

a Jer 25:9

b 2Kn 17:6

Tweede kol.

a Ge 10:8, 11

b Sef 2:13

c Sef 2:15

d Jer 2:14, 15
 Jer 50:17

e Jes 10:12

f Ps 46:9
 Jes 37:24

g 2Kn 18:17

- 8** Ni'neve^a was gedurende al haar dae soos 'n dam water,
 maar nou vlug hulle.
 "Staan stil! Staan stil!"
 Maar niemand draai terug nie.^b
- 9** Vat die silwer, vat die goud!
 Daar is geen einde aan die skatte nie.
 Dit is vol allerhande kosbare dinge.
- 10** Die stad is leeg, verlate en verwoes!^c
 Hulle harte smelt van vrees,
 hulle knieë knak, hulle heupe bewe.
 Hulle almal se gesigte is bleek.
- 11** Waar is die lêplek van leeus,^d waar die jong leeus* vreet,
 waar die leeu met sy leeuwelpie loop
 en niemand hulle bang maak nie?
- 12** Die leeu het genoeg prooi vir sy leeuwelpies verskeur
 en genoeg prooi vir sy leeuwiefies gewurg.
 Hy het sy gate met prooi gevul gehou,
 sy lêplekke met verskeurde diere.
- 13** "Kyk! Ek is teen jou," sê Jehovah van die leërmagte,^e
 "ek sal jou strydwaens in rook laat opgaan,^f
 en die swaard sal jou jong leeus* verslind.
 Ek sal jou prooi van die aarde af uitroei,
 en die geluid van jou boodskappers sal nie meer gehoor word nie."^g
- 3** Dit sal sleg gaan met die stad van bloedskuld!
 Sy is heeltemal vol bedrog en roofgoed.

2:11, 13 *Of "jong maanhaarleeus".

- Sy is nooit sonder prooi nie!
- 2** Daar is die geklap van die sweep en die gedreun van die wiele,
die perd wat galop en die strydwa wat stamp.
- 3** Die perderuiter, die flitsende swaard en die glinsterende spies,
die klomp dooies en die hope karkasse
– daar is geen einde aan die lyke nie.
Hulle bly struikel oor die lyke.
- 4** Dit is weens die baie daade van prostitusie van die prostituut,
sy wat aantreklik en betowerend is, 'n meesteres van towery,
wat nasies deur haar daade van prostitusie verstrik en families deur haar towery.
- 5** “Kyk! Ek is teen jou,”* sê Jehovah van die leërmagte,^a
“ek sal jou klere oor jou gesig oplig.
Ek sal nasies jou naaktheid laat sien,
en koninkryke jou skande.
- 6** En ek sal vuilgoed op jou gooi
en skande oor jou bring.
Ek sal 'n bespotting van jou maak.^b
- 7** Almal wat jou sien, sal van jou af wegvlug^c en sê:
‘Ni’neve is verwoes!
Wie sal met haar simpatiseer?’
Waar sal ek vertroosters vir jou vind?
- 8** Is jy beter as No-Amon,^{*d}
wat by die Nylkanale gesit het?^e
Water het haar omring.
Haar rykdom was die see, en haar muur was die see.

HFST. 3

a Na 2:13

b Sef 2:15

c Na 2:8

d Jer 46:25
Ese 30:14

e Jes 19:6

Tweede kol.

a Ge 10:6

b 2Kr 16:8
Jer 46:8, 9

c Jes 20:4

d Ps 75:8
Jer 25:15

e 2Kr 32:3, 4

f Sef 2:13

g Eks 10:14, 15

- 9** Etiopië en Egipte was haar bron van eindelose krag.
Put^a en die Libiërs was jou helpers.^b
- 10** Maar selfs sy het 'n balling* geword.
Sy het in gevangenskap gegaan.^c
Haar kinders is ook op elke straathoek^d doodgeslaan.
Hulle het die lot gewerp oor haar geëerde manne,
en al haar belangrike manne is met boeie gebind.
- 11** Jy sal ook dronk word.^d
Jy sal gaan wegwruip.
Jy sal beskerming teen die vyand soek.
- 12** Al jou vestings is soos vyebome met die eerste ryp vrugte.
As hulle geskud word, sal hulle in die monde val van dié wat verslind.
- 13** Kyk! Jou soldate is soos vrouens.
Die poorte van jou land sal wyd oop wees vir jou vyande.
Vuur sal die grendels van jou poorte verteer.
- 14** Skep water, want die stad gaan omsingel word!^e
Versterk jou vestings.
Gaan af in die modder en trap die klei.
Maak die bakstene.*
- 15** Selfs daar sal vuur jou verteer.
'n Swaard sal jou uitroei.^f
Dit sal jou verslind soos die jong sprinkane.^g
Maak jou so baie soos die jong sprinkane!
Ja, maak jou so baie soos die sprinkane!

3:10 *D.w.s. iemand wat uit sy land weggevoer is. ^aLett. “aan die hoof van alle strate”. **3:14** *Lett. “Gryp die steenvorm”.

- 16** Jy het jou handelaars meer gemaak as die sterre van die hemel.
Die jong sprinkaan vervel en vlieg weg.
- 17** Jou wagte is soos die sprinkaan,
en jou offisiere soos 'n sprinkaansterm.
Op 'n koue dag slaan hulle kamp op in die klipkrale,
maar wanneer die son skyn,
vlieg hulle weg.
Niemand weet waar hulle is nie.
- 18** Jou herders is vaak,
o koning van Assi'rië.

Tweede kol.

HFST. 3

a Na 2:8

b Sef 2:15

c Jes 10:5, 6
Jes 37:18

- Jou heersers bly in hulle woonplekke.
Jou volk is op die berge verstrooi,
en niemand maak hulle bymekaar nie.^a
- 19** Daar is geen verligting vir jou katastrofe nie.
Jou wond kan nie gesond word nie.
Almal wat die berig oor jou hoor, sal hulle hande klap,^b
want wie het nie gely weens jou genadelose wreedheid nie?"^c

HABAKUK

OORSIG

- 1** Profeet se uitroep om hulp (1-4)
"Hoe lank, o Jehovah?" (2)
"Hoekom laat u onderdrukking toe?" (3)
Galdeërs, God se middel tot oordeel (5-11)
Profeet smeek Jehovah (12-17)
'My God, u sterf nie' (12)
'U is te suiwer om te kyk na wat sleg is' (13)
- 2** 'Ek sal wag hou om te sien wat hy sal sê' (1)

- Jehovah antwoord profeet (2-20)
'Bly gretig wag vir die visioen' (3)
Regverdige sal deur getrouheid lewe (4)
Vyf uitsprake teen Galdeërs (6-20)
Aarde vol van kennis van Jehovah (14)
- 3** Profeet bid dat Jehovah sal optree (1-19)
God sal sy gesalfde volk red (13)
Vreugde in Jehovah ondanks moeilikhede (17, 18)

1 'n Belangrike boodskap wat die profeet Ha'bakuk* in 'n visioen ontvang het:

HFST. 1

a Ps 13:1

Tweede kol.

a Ps 22:1
Ps 74:10
Op 6:10

- 2** Hoe lank, o Jehovah, moet ek om hulp roep? Wanneer sal u luister?^a

Hoe lank moet ek u vra om my van geweld te red? Wanneer sal u ingryp?^a

- 3** Hoekom laat u toe dat ek oortreding sien? En hoekom laat u onderdrukking toe?

1:1 *Beteken moontlik "vurige omhelsing".

1:2 *Of "red".

Hoekom is vernietiging en geweld voor my?

En hoekom is daar so baie stryery en konflik?

- 4 So verloor die wet sy krag, en geregtigheid word nooit uitgevoer nie. Want die goddeloses omring die regverdiges, en daarom word geregtigheid verdraai.^a

- 5 “Kyk na die nasies en skenk aandag! Staar in verbasing en wees verstom, want iets sal in julle dae gebeur wat julle nie sal glo nie, al word julle daarvan vertel.^b

- 6 Want ek laat die Galdeërs opstaan,^c die genadelose en onstuimige nasie. Hulle trek deur uitgestrekte dele van die aarde om huise in besit te neem wat nie aan hulle behoort nie.^d

- 7 Hulle is skrikwekkend, en mense is baie bang vir hulle. Hulle stel hulle eie wette en gesag* vas.^e
- 8 Hulle perde is vinniger as luiperds, en hulle is wreder as wolwe in die nag.^f Hulle oorlogsperde galop voort. Hulle perde kom van ver af. Hulle duik neer soos 'n arend op sy prooi.^g

- 9 Hulle almal kom en is daarop uit om geweld te pleeg.^h Wanneer hulle gesigte bymekaarkom, is dit soos die oostewind,ⁱ

1:7 *Of “waardigheid”.

HFST. 1

a Job 12:6
Ps 12:8
Pr 8:11
Jes 1:21
Han 7:52, 53

b Jes 28:21
Jes 29:14
Klg 4:11, 12
Han 13:40, 41

c Jer 22:7
Jer 46:2

d De 28:49-51
Jer 5:15-17
Jer 6:22, 23
Ese 23:22, 23

e Jer 39:5-7
Da 5:18, 19

f Jer 5:6

g Jer 4:13
Klg 4:19
Ese 17:3

h Jer 25:9

i Jes 27:8
Ese 17:10

Tweede kol.

a 2Kn 24:12

b Jer 32:24
Jer 52:7

c Jes 47:5, 6
Jer 51:24
Sag 1:15

d Da 5:1, 4

e Ps 90:2
Ps 93:2
Op 1:8

f 1Ti 1:17
Op 15:3

g De 32:4

h Jer 30:11

i Ps 5:4, 5

j Jer 12:1

k Ps 35:21, 22

l Jer 50:11

en hulle maak gevangenes bymekaar soos die sand.

- 10 Hulle bespot konings en lag vir hoë amptenare.^a Hulle lag vir elke vesting.^b Hulle bou 'n wal met grond en neem dit in.
- 11 Dan beweeg hulle vorentoe soos die wind en gaan deur die land, maar hulle sal skuldig word,^c want hulle skryf hulle krag toe aan hulle god.^{**d}
- 12 Bestaan u nie al vir ewig nie, o Jehovah?^e O my God, my Heilige, u sterf nie.^{*f} O Jehovah, u het hulle aangestel om oordeel uit te voer. My Rots,^g u het hulle gekies om ons te straf.^{**h}
- 13 U oë is te suiwer om te kyk na wat sleg is, en u kan goddeloosheid nie verdra nie.ⁱ Hoekom duld u dan die verraaiers^j en bly u stil wanneer 'n goddelose mens iemand verslind wat regverdiger is as hy?^k
- 14 Hoekom maak u die mens soos die visse van die see, soos kruipende diere wat nie 'n heerser het nie?
- 15 Hy* trek hulle almal met 'n vishoek op. Hy vang hulle in sy sleepnet, en hy maak hulle bymekaar in sy visnet. Dit is hoekom hy baie bly is.^l
- 16 Dit is hoekom hy offerandes aan sy sleepnet bring,
- 1:11 *Of moontlik “hulle god is hulle krag”. 1:12 *Of moontlik “ons sal nie sterf nie”. #Of “tereg te wys”. 1:15 *D.w.s. die Galdeese vyand.

en offers* aan sy visnet,
want deur middel van hulle
het hy 'n ryk# vangs
en goeie voedsel.

- 17 Sal hy dan aanhou om sy
sleepnet leeg te maak?*
- Sal hy aanhou om nasies
dood te maak sonder om
jammer te voel?^a

- 2 Ek sal op my wagpos bly
staan,^b
en ek sal op die versterkte
muur* staan.
Ek sal wag hou om te sien
wat hy deur my sal sê
en wat ek sal antwoord wan-
neer ek tereggewys word.

- 2 Jehovah het my toe
geantwoord:
"Teken die visioen op en
skryf dit duidelik op klip-
tablette,^c
sodat dit maklik* voorgelees
kan word.^d

- 3 Want die visioen is nog vir
sy vasgestelde tyd,
en dit beweeg vinnig na sy
vervulling,* en dit sal nie
lieg nie.

Al sou dit lank neem,[#] bly
gretig wag daarvoor!^e
Want dit sal vir seker waar
word.

Dit sal nie laat wees nie!

- 4 Kyk na die een wat trots is.
Sy hart is nie opreg nie.
Maar die regverdige sal
deur sy getrouheid* lewe.^f

- 5 Ja, die wyn is bedrieglik,
en daarom sal die hoog-
moedige mens nie sy
doel bereik nie.
Hy maak sy eetlus so groot
soos die Graf.*

1:16 *Of "offerrook". #Lett. "olieryk". 1:17 *Of moontlik "om sy swaard uit te trek". 2:1 *Of "die skans". 2:2 *Of "vlot". 2:3 *Of "einde". #Of "Al lyk dit asof dit lank neem". 2:4 *Of moontlik "geloof". 2:5 *Of "Sjeeol". Sien Woordelys.

HFST. 1

a 2Kr 36:17
Na 3:7

HFST. 2

b Jes 21:8
Mi 7:7

c Eks 17:14

d De 31:9, 11

e Mi 7:7

f Joh 3:36
Ro 1:17
Ga 3:11
Heb 10:38

Tweede kol.

a Jes 14:16, 17

b Jes 14:4

c Jer 51:11

d Jes 13:19
Jer 27:6, 7
Sag 2:7-9

e 2Kr 36:17
Ps 137:8

f Jes 14:20

Hy is soos die dood en kan
nie versadig word nie.
Hy hou aan om al die nasies
bymekaar te maak
en om vir hom al die volke
bymekaar te bring.^a

- 6 Sal hulle almal nie spreuke,
sinspelings en raaisels
teen hom spreek nie?^b

Hulle sal sê:
'Dit sal sleg gaan met
die een wat bymekaar-
maak wat nie aan hom
behoort nie

en wat sy eie skuld selfs
groter maak!

Hoe lank sal dit nog
aanhou?

- 7 Sal jou skuldeisers nie
skielik opstaan nie?
Hulle sal wakker word en
jou erg skud,
en jy sal vir hulle iets word
wat hulle kan beroof.^c

- 8 Omdat jy baie nasies
beroof het,
sal die res van die volke
jou beroof.^d

Want jy het mense
doodgemaak
en dade van geweld teen
die aarde gepleeg,
teen die stede en dié wat
daarin woon.^e

- 9 Dit sal sleg gaan met die een
wat vir sy huis oneerlike
wins maak,
sodat hy sy nes in die
hoogte kan maak
om die greep van ramp-
spoed vry te spring!

- 10 Jy het skande vir jou huis
beplan.

Jy sondig teen jouself
deur baie volke te ver-
nietig.^f

- 11 Want 'n klip sal vanuit die
muur uitroep,
en 'n dakbalk sal uit die
houtwerk antwoord gee.

- 12** Dit sal sleg gaan met die een wat 'n stad deur bloedskuld bou en wat 'n dorp deur onregverdigheid vestig!
- 13** Kyk! Is dit nie Jehovah van die leërmagte wat volke hard laat werk vir wat in die vuur beland nie en wat veroorsaak dat nasies hulle verniet uitput nie?^a
- 14** Want die aarde sal vol wees van die kennis van die heerlijkheid van Jehovah soos die waters die see bedek.^b
- 15** Dit sal sleg gaan met die een wat sy metgeselle iets gee om te drink, en wat groot woede daarby voeg om hulle dronk te maak, om hulle kaal te kan sien!
- 16** Jy sal oorvol word van oneer in plaas van heerlijkheid. Jy moet ook drink en ander laat sien dat jy nie besny is nie.* Die beker in die regterhand van Jehovah sal na jou toe kom,^c en skande sal jou heerlijkheid bedek,
- 17** want die dade van geweld wat teen die Li'banonberge gepleeg is, sal jou bedek, en die vernietiging wat die diere bang gemaak het, sal oor jou kom, want jy het mense doodgemaak en dade van geweld teen die aarde gepleeg, teen die stede en dié wat daarin woon.^d
- HFST. 2
a Jer 51:58
b Ps 72:19
Jes 11:9
Sag 14:9
c Ps 75:8
Jes 51:22, 23
Jer 25:28
Jer 51:57
d Ps 137:8
Jer 50:28
Jer 51:24
- Tweede kol.**
a Jes 42:17
Jes 44:19, 20
Jes 45:20
b Jer 40:19
Jes 46:6
c Jer 51:17
d Jes 6:1
e Ps 76:8
Ps 115:3
Sag 2:13
- HFST. 3
f Klg 3:32
g De 33:2
Rig 5:4
Ps 68:7, 8
h Eks 19:16
i Eks 13:21

- 18** Van watter nut is 'n uitgekerfde beeld as sy maker hom uitgekerf het? Van watter nut is 'n metaalbeeld en 'n onderrigter van leuens? Hoe kan die een wat hierdie waardelose gode maak, op hulle vertrou? Want hulle is stom!^a
- 19** Dit sal sleg gaan met die een wat vir 'n stuk hout sê: "Word wakker!" of vir 'n stom klip: "Staan op! Onderrig ons!" Kyk! Dit is met goud en silwer oorgetrek,^b en daar is glad nie asem daarin nie.^c
- 20** Maar Jehovah is in sy heilige tempel.^d Wees stil voor hom, almal op aarde!"^e
- 3** Die gebed van die profeet Ha'bakuk as treurliedere:
- 2** O Jehovah, ek het die berig oor u gehoor. Ek het ontsag, o Jehovah, vir u dade. Maak dit in ons tyd* lewend! Maak dit in ons tyd* bekend. Mag u onthou om tydens die verwarring genade te betoon.^f
- 3** God het van Teman af gekom. Die Heilige het van die berg Paran af gekom.^g (*Sela*)* Sy majesteit het die hemel bedek,^h en die aarde is met sy lof gevul.
- 4** Sy glans was soos die lig.ⁱ Twee strale het uit sy hand geflits, waar sy krag weggesteek is.

3:2 *Lett. "in die middel van die jare".

3:3 *Sien Woordelys.

2:16 *Of moontlik "drink en steier".

- 5** Vreeslike siekte het voor hom uitgegaan,^a en brandende koors het in sy voetstaple gevolg.
- 6** Hy het stilgestaan en die aarde geskud.^b Met een kyk het hy nasies laat spring.^c Die ewige berge is stukkend geslaan, en die eeue oue heuwels het neergebuig.^d Die paaië van lank gelede is syne.
- 7** Ek het moeilikheid in die tente van Kusan gesien. Die tentdoeke van die land Mi'dian het gebewe.^e
- 8** Is dit teen die riviere, o Jehovah, is dit teen die riviere dat u woede opgevlam het? Of is u woede teen die see?^f Want u het op u perde gery.^g U strydwaens het oorwin.^h
- 9** U boog is uitgehaal en is gereed. Die stawwe* is gereed om hulle werk te doen volgens 'n eed.[#] (*Sela*) U het die aarde met riviere oopgeklouf.
- 10** Berge het in pyn ineengekrimp toe hulle u sien.ⁱ 'n Swaar donderstorm het deurgetrek. Die waterdiepte het gedreun met sy stem.^j Hy het sy hande hoog opgelig.
- 11** Son en maan het stilgestaan in hulle woning daar bo.^k U pyle het soos die lig uitgeskiet.^l

3:8 *Of "was redding". 3:9 *Of moontlik "pyle". #Of moontlik "Die geswore ede van die stamme is uitgespreek".

HFST. 3

a Nu 14:11, 12
Nu 16:46
Nu 25:1, 9

b Jes 13:13
Hag 2:21

c Eks 14:25
Eks 23:27

d Ps 114:1, 4
Na 1:5

e Eks 15:14, 15
Nu 22:3, 4

f Ps 114:1, 3
Jes 50:2
Na 1:4

g De 33:26

h Ps 68:17

i Eks 19:18
Ps 114:1, 4

j Ps 77:16

k Jos 10:12

l Ps 77:17, 18

Tweede kol.

a Ps 119:120
Jer 23:9
Da 8:27

b Ps 42:5
Jes 26:20
Klg 3:26

U spies het geglinster soos die weerlig.

- 12** U het woedend deur die aarde getrek. In woede het u die nasies vertrap.*
- 13** U het uitgegaan om u volk, u gesalfde, te red. U het die hoof van die huis van die goddelose verpletter. Dit is van die dak* af tot op die fondament afgebreek. (*Sela*)
- 14** U het die koppe van sy vegters met hulle eie wapens* deurboor toe hulle op ons afgestorm het om ons[#] te verstrooi. Hulle was baie bly om iemand wat swaarkry, in die geheim te verslind.
- 15** U gaan deur die see met u perde, deur die onstuimige, uitgestrekte waters.
- 16** Ek het gehoor, en my binneste* het gebewe. My lippe het gebewe toe ek die geluid hoor. My liggaam het swak geword.^{#a} My bene het onder my ingegeë. Maar ek wag rustig vir die dag van rampspoed,^b want dit kom oor die mense wat ons aanval.
- 17** Al het die vyeboom nie bloeisels nie en is daar geen druiwe aan die wingerdstokke nie, al misluk die olyfoes

3:12 *Lett. "gedors". 3:13 *Lett. "nek". 3:14 *Lett. "sy stawwe". #Lett. "my". 3:16 *Lett. "buik". #Lett. "Verrotting het in my gebeente ingegaan".

en bring die landerye* geen kos voort nie, al verdwyn die kleinvee uit die kraal en is daar geen beeste in die kampe nie,

- 18 sal ek van vreugde uitroep as gevolg van wat Jehovah doen.

3:17 *Of "terrasse".

Tweede kol.

HFST. 3

a Eks 15:2
1Sa 2:1
Ps 18:2
Ps 27:1
Jes 61:10

b Jes 12:2
Flp 4:13

c 2Sa 22:34

Ek sal bly wees in die God van my redding.^a

- 19 Die Soewereine Heer Jehovah is my krag.^b

Hy sal my voete soos dié van 'n takbok maak en my op hoë plekke laat loop.^c

Vir die musikleier:
Met my snaarinstrumente.

SEFANJA

OORSIG

- Jehovah se oordeelsdag is naby (1-18)
Jehovah se dag kom vinnig nader (14)
Silwer en goud kan nie red nie (18)
- Soek Jehovah voor sy dag van woede (1-3)
Soek regverdigheid en nederigheid (3)
"Moontlik sal julle beskerming vind" (3)

Oordeel oor omliggende nasies (4-15)

- Jerusalem, opstandige en korrupte stad (1-7)

Oordeel en herstel (8-20)

Verandering na suiwer taal (9)
Nederige en behoeftige volk sal gered word (12)
Jehovah sal bly wees oor Sion (17)

1 Dit is die woord van Jehovah aan Sefan'ja,* die seun van Kusi, die seun van Gedal'ja, die seun van Amar'ja, die seun van Hiski'a, in die dae van Josi'a,^a die seun van Amon,^b die koning van Juda:

- "Ek sal alles wat op die oppervlak van die aarde is, heeltemaal wegvee," sê Jehovah.^c

- "Ek sal mense en diere wegvee.
Ek sal die voëls van die hemel en die visse van die see^d

1:1 *Beteken "Jehovah het verberg (weggebêre)".

HFST. 1

a 2Kn 22:1, 2
Jer 1:2

b 2Kn 21:18-20

c 2Kn 22:16
Jes 6:11
Jer 6:8

d Jer 4:25

Tweede kol.

a Ese 14:3

b Nu 25:3
Rig 2:11, 13
2Kr 28:1, 2
Jer 11:17

c 2Kn 23:5

en die struikelblokke*^a saam met die goddeloses wegvee.

Ek sal die mensdom van die oppervlak van die aarde af verwyder," sê Jehovah.

- "Ek sal my hand teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem uitsteek.

Ek sal elke spoor van Baäl uit hierdie plek uitroei,^b die naam van die priesters van vreemde gode asook die ander priesters,^c

1:3 *Blykbaar voorwerpe of bedrywighede wat met afgodediens verband hou.

- 5** en dié wat op die dakke neerbuig voor die leërmag van die hemel,^a
en dié wat neerbuig en sweer dat hulle lojaal sal bly aan Jehovah^b
terwyl hulle ook sweer dat hulle lojaal sal bly aan Malkam,^c
- 6** en dié wat ophou om Jehovah te volg^d
en wat Jehovah nie soek of hom raadpleeg nie.^e
- 7** Wees stil voor die Soewereine Heer Jehovah, want die dag van Jehovah is naby.^f
Jehovah het 'n offerande voorberei. Hy het dié wat hy genooi het, geheilig.
- 8** "Op die dag van Jehovah se offerande sal ek die leiers straf,
asook die seuns van die koning^g en almal wat uitlandse klere dra.
- 9** Ek sal almal straf wat op daardie dag op die platform* klim,
sowel as dié wat hulle meester se huis met geweld en bedrog vul.
- 10** Op daardie dag," sê Jehovah, "sal daar die geluid wees van 'n geskree van die Vispoort^h af,
en 'n gehuil van die tweede stadsdeelⁱ af,
en 'n groot geraas van die heuwels af.
- 11** Huil, julle inwoners van Maktes,*
want al die handelaars is doodgemaak.[#]
Almal wat silwer afweeg, is vernietig.

1:9 *Of "podium; drumpel". Moontlik die platform van die koning se troon.
1:11 *Blykbaar 'n deel van Jerusalem naby die Vispoort. #Lett. "stilgemaak".

HFST. 1
a 2Kr 33:1, 3
Jer 19:13

b Jes 48:1

c Jos 23:6, 7
1Kn 11:33
Jer 49:1

d Jes 1:4
Jer 2:13

e Jes 43:22

f Jl 2:1
2Pe 3:10

g 2Kn 25:7
Jer 39:6

h 2Kr 33:1, 14
Ne 3:3
Ne 12:38, 39

i 2Kr 34:22

Tweede kol.

a Ps 10:13
Ps 14:1

b Jes 6:11

c De 28:30
Jer 5:17

d Jl 2:1

e Hab 2:3

f Jes 66:6

g Jes 33:7
Jl 1:15

h Op 6:17

i Jer 30:7

j Am 5:18, 20
Han 2:20

k Jl 2:2

l Jer 4:19

m Jes 2:12, 15

n De 28:28, 29
Jes 59:9, 10

o Jes 24:5
Da 9:5, 8

- 12** In daardie tyd sal ek Jerusalem deeglik deursoek met lampe,
en ek sal die mense straf wat in hulle selftevredenheid lewe,* wat in hulle hart sê:
'Jehovah sal nie goed doen nie, en hy sal nie sleg doen nie.'^a

- 13** Hulle rykdom sal van hulle af weggeneem word, en hulle huise sal verwoes word.^b
Hulle sal huise bou, maar hulle sal nie daarin woon nie,
en hulle sal wingerde plant, maar hulle sal nie die wyn daarvan drink nie.^c

- 14** Die groot dag van Jehovah is naby!^d

Dit is naby en kom baie

vinnig nader!^e

Die geluid van die dag van Jehovah is bitter.^f

Daar roep 'n vegter hard uit.^g

- 15** Daardie dag is 'n dag van woede,^h

'n dag van nood en angs,ⁱ

'n dag van storms en verwoesting,

'n dag van duisternis en hartseer,^j

'n dag van wolke en dik donkerheid,^k

- 16** 'n dag van die horing en van die oorlogskreet,^l
teen die versterkte stede
en teen die hoë hoektoringe.^m

- 17** Ek sal die mensdom laat ly, en hulle sal soos blindes rondloop,ⁿ
want hulle het teen Jehovah gesondig.^o

Hulle bloed sal soos stof uitgegooi word,

1:12 *Lett. "wat op hulle afsaksel stol", soos in 'n wynvat.

en hulle vlees* soos mis.^a

- 18 Nie hulle silwer of hulle goud sal hulle in die dag van Jehovah se woede kan red nie,^b

want deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word.^c

Dit sal 'n verskriklike dag wees, want hy sal al die inwoners van die aarde vernietig."^d

- 2 Kom bymekaar, ja, kom bymekaar,^e
o nasie wat geen skaamte het nie.^f

- 2 Voordat die bevel in werking tree, voordat die dag soos kaf verbygaan, voordat die brandende woede van Jehovah oor julle kom,^g
voordat die dag van Jehovah se woede oor julle kom,

- 3 soek Jehovah,^h alle nederiges* van die aarde, wat sy regverdige bevel[#] gehoorsaam.

Soek regverdigheid, soek nederigheid.^Δ

Moontlik sal julle beskerming vind[Ⓚ] op die dag van Jehovah se woede.ⁱ

- 4 Want Gasa sal 'n verlate stad wees, en As'kelon sal verwoes wees.^j

Asdod sal helder oordag* verdryf word, en Ekron sal ontwortel wees.^k

- 5 "Dit sal sleg gaan met dié wat by die seekus woon, die nasie van die Keretiete!"

1:17 *Lett. "ingewande". 2:3 *Of "sagmoediges". #Lett. "sy oordeel". ΔOf "sagmoedigheid". ⓀOf "verberg word". 2:4 *Of "op die middaguur".

HFST. 1

a Ps 79:2, 3

Jer 9:22

Jer 16:4

b Spr 11:4

Jes 2:20

Ese 7:19

c De 32:22

Jer 7:20

d Jer 4:27

HFST. 2

e Jl 1:14

Jl 2:15, 16

f Jes 1:4

Jer 6:15

g 2Kn 23:26

2Kr 36:16, 17

Jer 23:20

Klg 4:11

h Jes 55:6

Am 5:6

i Ge 7:13, 16

Jes 26:20

Jl 2:12, 14

Am 5:15

j Jer 47:5

k Jer 25:17, 20

Am 1:6-8

Sag 9:5, 6

l Ese 25:16, 17

Tweede kol.

a Jes 11:11

Jer 31:7

Hag 1:12

b Ps 126:1

Jer 23:3

Ese 39:25

Am 9:14

Mi 2:12

Mi 4:10

Sef 3:20

c Jer 48:26, 27

Ese 25:8, 9

d Jer 49:1

Ese 25:3

e Ps 83:2, 4

f Ese 25:11

Am 2:1, 2

g Ge 19:24, 25

h Am 1:13-15

Jud 7

i Jes 16:6

Jer 48:29

Die woord van Jehovah is teen julle.

O Kanaän, land van die Filistyne, ek sal jou vernietig,

sodat daar geen inwoner sal oorbly nie.

- 6 En die seekus sal weivelde word,
met putte vir herders en klipkrale vir skape.

- 7 Dit sal 'n streek vir die oorblywendes van die huis van Juda word.^a

Daar sal hulle wei.

Hulle sal saans in die huise van As'kelon lê.

Want Jehovah hulle God sal vir hulle sorg,*

en hy sal hulle gevangenes laat terugkeer."^b

- 8 "Ek het die gespot van Moab en die beledigings van die Ammoniete gehoor,^d

wat my volk uitgetart het en trots gedreig het om hulle gebied in besit te neem.^e

- 9 Daarom, so waar as wat ek lewe," sê Jehovah van die leërmagte, die God van Israel,

"Moab sal net soos Sodom word,^f

en die Ammoniete soos Gomor'ra,^g

'n plek vol brandnetels, 'n soutput en 'n plek wat permanent verwoes is.^h

Die oorblywendes van my volk sal hulle beroof, en die oorblyfsel van my nasie sal hulle verdryf.

- 10 Dit is wat hulle sal hê in die plek van hulle trots,ⁱ omdat hulle die volk van Jehovah van die leërmagte uitgetart en verkleineer het.

2:7 *Of "aandag aan hulle skenk".

- 11 Jehovah sal ontsagwekend* teen hulle wees, want hy sal al die gode van die aarde tot niet maak,[#] en al die eilande van die nasies sal voor hom neerbuig,^{△a} elkeen vanuit sy plek.
- 12 Julle, die Etiopiërs, sal ook deur my swaard doodgemaak word.^b
- 13 Hy sal sy hand na die noorde uitsteek en Assirië vernietig, en hy sal Ni'neve 'n verlate plek maak,^c so droog soos 'n woestyn.
- 14 Troppe sal daarin lê, alle soorte wilde diere.* Die pelikaan sowel as die ystervark sal oornag tussen die pilare wat afgebreek is. 'n Stem sal in die venster sing. Daar sal verwoesting op die drumpel wees, want hy sal die panele van sederhout ontbloot.
- 15 Dit is die trotse stad wat in veiligheid gesit het, wat in haar hart gesê het: 'Ek is die een, en daar is niemand anders nie.' Hoe het dit tog iets skokkends geword, 'n plek waar die wilde diere lê! Elkeen wat daar verbygaan, sal fluit en sy vuus skud."^d
- 3** Dit sal sleg gaan met die opstandige, die besoedelde, die onderdrukkende stad!^e
- 2 Sy het na geen stem geluister nie.^f Sy het geen dissipline aanvaar nie.^g

2:11 *Of "vreesaanjaend". #Of "laat wegteer". △Of "sal hom aanbid". 2:14 *Lett. "elke wilde dier van 'n nasie".

HFST. 2

- a Ps 22:27
Mal 1:11
- b Jes 43:3
Ese 30:4, 5
- c Na 3:7
- d Na 3:1, 19

HFST. 3

- e Jes 5:7
Jer 6:6
- f Jer 22:21
Jer 32:23
- g Ps 50:17
Jes 1:5
Jer 5:3

Tweede kol.

- a Ps 78:22
Jer 17:5
- b Jes 29:13
- c Jes 1:23
Ese 22:27
- d Klg 2:14
- e Jer 23:11
- f Ese 22:25, 26
Mi 3:9
- g De 32:4
- h Jer 21:12
- i Jer 3:3
Jer 8:12
Sef 2:1
- j Le 18:28
- k Jes 5:3, 4
Jes 63:8
2Pe 3:9
- l Jer 7:5-7
Jer 25:5, 6
- m Mi 2:1

- n Ps 37:34
Ps 130:7
Jes 30:18

Sy het nie op Jehovah vertrou nie.^a Sy het nie nader aan haar God gekom nie.^b

- 3 Haar leiers is brullende leeus.^c Haar regters is wolwe in die nag. Hulle los nie eers 'n been tot die oggend toe om aan te kou nie.
- 4 Haar profete is arrogante, bedrieglike manne.^d Haar priesters onheilig wat heilig is.^e Hulle het die wet verbreek.^f
- 5 Jehovah is regverdig in die stad.^g Hy doen niks wat verkeerd is nie. Oggend ná oggend maak hy sy oordele bekend,^h net so seker soos die daglik kom. Maar die onregverdige ken geen skaamte nie.ⁱ
- 6 "Ek het nasies vernietig. Hulle hoektoringe is verlate. Ek het hulle strate verwoes, en daarom is niemand daarop gevind nie. Hulle stede is verwoes, en daar is geen mens, geen inwoner, meer nie.^j
- 7 Ek het gesê: 'Jy sal my sekerlik vrees en dissipline* aanvaar,'^k sodat haar woonplek nie vernietig sal word nie!^l – ek moet haar vir al hierdie dinge straf.^m Maar hulle was baie gretig om goddeloos op te tree.^m
- 8 'Hou dus aan om my te verwag,'ⁿ sê Jehovah,

3:7 *Of "teregwysing". #Of "tot verantwoording roep". 3:8 *Of "om gedduldig vir my te wag".

“tot die dag dat ek kom
om die besittings te kom
neem,*

want my regterlike bevel is
om nasies te versamel, om
koninkryke bymekaar te
bring,

om my verontwaardiging
oor hulle uit te stort, al
my brandende woede,^a
want deur die vuur van my
ywer sal die hele aarde
verteen word.^b

- 9** Want dan sal ek die taal van
die volke in 'n suiwer taal
verander,
sodat hulle almal die naam
van Jehovah sal aanroep
om hom skouer aan skouer
te dien.*^c

- 10** Uit die streek van die riviere
van Etiopië

sal dié wat my dringend ver-
soek, die dogter van my
verstrooides, vir my 'n
offerande bring.^d

- 11** Op daardie dag sal jy nie
verneder word
weens al jou dade waarmee
jy teen my in opstand ge-
kom het nie,^e
want dan sal ek die hoog-
moedige grootpraters
onder jou verwyder,
en jy sal nooit weer hoog-
moedig wees op my heilige
berg nie.^f

- 12** Ek sal 'n nederige en be-
skeie volk in jou laat
oorbly,^g
en hulle sal in die naam
van Jehovah beskerming
soek.

- 13** Dié wat in Israel oorbly,^h sal
geen onregverdige dade
beoefen nie.ⁱ

3:8 *Of moontlik “opstaan as 'n ge-
tuie”. 3:9 *Of “om hom in eenheid te
aanbid”.

HFST. 3

a Jes 34:2
Jl 3:2
Op 16:14
Op 19:19

b Ese 6:5

c Sag 8:23

d Jes 60:4

e Jes 45:17
Jes 54:4

f Jes 11:9

g Jes 57:15
Jes 61:1

h Jes 10:22
Mi 4:7

i Jes 60:21

Tweede kol.

a Jer 30:10
Ese 34:28
Ese 39:25, 26
Ho 2:18
Mi 4:4

b Esr 3:11
Jes 12:5, 6
Sag 2:10

c Mi 4:8

d Jes 40:2
Sag 8:13

e Mi 7:10
Sag 2:8, 9

f Ese 48:35

g Am 9:15
Sag 14:11

h Jer 46:28

i Jes 12:6

j De 30:9
Ps 147:11
Jes 62:3
Jes 65:19
Jer 32:41

k Klg 1:4
Klg 2:6

l Klg 5:1

m Jes 60:14
Sag 14:3

n Mi 4:6, 7

Hulle sal nie 'n leuen vertel
nie, en 'n bedrieglike tong
sal ook nie in hulle mond
gevind word nie.

Hulle sal wei en gaan lê,
en niemand sal hulle bang
maak nie.”^a

- 14** Roep van vreugde uit,
o dogter van Sion!

Juig, o Israel!^b
Wees vreugdevol en
verheug jou met jou
hele hart, o dogter van
Jerusalem!^c

- 15** Jehovah het die oordele
teen jou verwyder.^d

Hy het jou vyand laat
wegdraai.^e

Die Koning van Israel,
Jehovah, is by jou.^f

Jy sal nie meer enige ramp-
spoed vrees nie.^g

- 16** Op daardie dag sal daar vir
Jerusalem gesê word:

“Moenie bang wees nie,
o Sion.^h

Moenie jou hande laat slap
word nie.

- 17** Jehovah jou God is by jou.ⁱ
As 'n Magtige sal hy red.

Hy sal hom met groot vreug-
de oor jou verheug.^j

Hy sal stil* word in sy
liefde.

Hy sal bly wees oor jou met
uitroepe van vreugde.

- 18** Ek sal dié bymekaarmaak
wat treur omdat hulle nie
by jou feeste kan wees
nie.^k

Hulle kon nie by jou wees
nie omdat hulle weens
haar gespot is.^l

- 19** Kyk! Op daardie tyd sal ek
optree teen almal wat jou
onderdruk,^m

en ek sal die een red wat
mank loop.ⁿ

3:17 *Of “gerus; tevrede”.

en ek sal dié wat verstrooi is, bymekaarmaak.^a

Ek sal sorg dat hulle geprys en geëer word* in al die lande waar hulle verneder is.

20 In dié tyd sal ek julle inbring,

3:19, 20 *Lett. “n naam kry”.

HFST. 3

a Jes 11:11, 12
Jes 27:12
Ese 28:25
Ese 34:15, 16
Am 9:14

Tweede kol.

a Jes 60:15
b Jes 61:7
Jer 30:10
Jer 33:7, 9
Ese 39:25, 27

in die tyd wanneer ek julle bymekaarmaak.

Want ek sal sorg dat julle geëer* en geprys word^a onder al die volke van die aarde,

wanneer ek julle gevangenes voor julle oë laat terugkeer,” sê Jehovah.^b

HAGGAI

OORSIG

- Teregwyding omdat tempel nie herbou word nie (1-11)
 - ‘Is dit die tyd om in huise met houtpanele te woon?’ (4)
 - “Dink mooi na oor wat julle doen” (5)
 - Baie gesaai, min geoes (6)
 - Volk luister na Jehovah se stem (12-15)
- Tweede tempel sal met heerlikheid gevul word (1-9)
 - Al die nasies sal geskud word (7)
 - Kosbare dinge van nasies sal inkom (7)

Herbouing van tempel bring seëninge (10-19)

- Heiligheid kan nie oorgedra word nie (10-14)
- Boodskap aan Serubbabel (20-23)
 - “Ek sal jou soos ’n seërling maak” (23)

1 In die tweede jaar van koning Darius, in die sesde maand, op die eerste dag van die maand, het Jehovah deur middel van die profeet Haggai*^a ’n boodskap gestuur aan Serubbabel,^b die seun van Selatiël, die goewerneur van Juda, en aan Josua, die seun van Jo’sadak, die hoëpriester, en dit het gesê:

2 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Hierdie volk sê: “Die tyd het nog nie gekom

1:1 *Betekens “gebore op ’n feesdag”.

HFST. 1

a Esr 5:1

b Esr 3:2
Esr 5:2

Tweede kol.

a Esr 4:4, 23

b Esr 6:14

c Jer 52:12, 13

vir die huis* van Jehovah om gebou[#] te word nie.””^a

3 En Jehovah het weer ’n boodskap deur middel van die profeet Haggai^b gestuur, en dit het gesê: **4** “Is dit die tyd vir julle om in julle huise met pragtige houtpanele te woon, terwyl hierdie huis afgebreek is?^c **5** Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Dink mooi na oor wat julle doen.’ **6** Julle het baie saad gesaai, maar jul-

1:2 *Of “tempel”. [#]Of “herbou”. **1:5** *Lett. “Rig julle hart op julle weë”.

le oes min.^a Julle eet, maar julle is nie versadig nie. Julle drink, maar julle drink nie genoeg nie. Julle trek klere aan, maar niemand word warm nie. Die persoon wat homself verhuur, sit sy betaling in 'n sak vol gate.”

7 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Dink mooi na oor wat julle doen.’^{*}

8 “Gaan op na die berg en bring timmerhout.^b En bou die huis,^c sodat dit vir my vreugde kan gee en ek verheerlik kan word,^d sê Jehovah.”

9 “Julle het baie verwag en min ontvang, en toe julle dit in die huis ingebring het, het ek dit weggeblaas.^e Hoekom? vra Jehovah van die leërmagte. ‘Want my huis is afgebreek, terwyl julle almal rondhardloop en julle eie huise regmaak.^f **10** Daarom het die hemel daar bo sy dou teruggehou en het die aarde sy opbrengs teruggehou. **11** En ek het 'n droogte laat kom oor die aarde, oor die berge, oor die graan, oor die nuwe wyn, oor die olie, oor wat in die grond groei, oor mense en vee en oor al die werk van julle hande.”

12 Serubba'bel,^g die seun van Seal'tiël,^h en Josua, die seun van Jo'sadak,ⁱ die hoëpriester, en die res van die volk het na die stem van Jehovah hulle God en na die woorde van die profeet Haggai geluister omdat Jehovah hulle God hom gestuur het, en die volk het Jehovah begin vrees.

13 Toe het Haggai, die boodskapper van Jehovah, die volgende boodskap aan die volk oorgedra, in ooreenstemming met sy opdrag van Jehovah: “Ek is met julle,^j sê Jehovah.”

1:7 *Lett. “Rig julle hart op julle weë”.

HFST. 1

a De 28:22

b Esr 3:7

c Esr 5:2
Esr 6:15
Sag 1:16

d Jes 60:13

e Mal 2:2

f Hag 1:4

g Mt 1:12

h 1Kr 3:17-19

Lu 3:23, 27

i 1Kr 6:15

j 2Kr 15:2
Jes 8:10
Ro 8:31

Tweede kol.

a Esr 1:8

Esr 5:14

b Sag 3:1
Sag 6:11-13

c Esr 1:1, 5

d Esr 5:2
Sag 6:15

e Esr 4:24
Hag 1:1
Sag 1:1

HFST. 2

f Esr 5:1

Esr 6:14

g 1Kr 3:17-19
Sag 4:9

h Esr 1:8

i Sag 3:8
Sag 6:11

j 1Kr 6:15

k 1Kn 6:1
Esr 3:12

l Sag 4:10

m Sag 8:9

n Eks 3:12
Jes 43:2

Ro 8:31

o Eks 29:45
Eks 34:10

p Sag 4:6

q Jes 41:10
Sag 8:13

r Heb 12:26, 27

14 Jehovah het Serubba'bel, die seun van Seal'tiël, die goewerneur van Juda,^a en Josua,^b die seun van Jo'sadak, die hoëpriester, en die res van die volk toe beweeg^c om aan die huis van Jehovah van die leërmagte, hulle God, te begin werk.^d **15** Dit was op die 24ste dag van die sesde maand in die tweede jaar van koning Darius.^e

2 In die sewende maand, op die 21ste dag van die maand, het Jehovah deur middel van die profeet Haggai^f 'n boodskap gestuur wat gesê het: **2** “Vra aseblief vir Serubba'bel,^g die seun van Seal'tiël, die goewerneur van Juda,^h en vir Josua,ⁱ die seun van Jo'sadak,^j die hoëpriester, en vir die res van die volk: **3** ‘Wie van julle het hierdie tempel* nog in sy vorige heerlikheid gesien?^k Hoe lyk dit nou vir julle? Lyk dit nie soos niks in vergelyking met hoe dit voorheen gelyk het nie?’^l

4 “Maar wees nou sterk, Serubba'bel,^m sê Jehovah, ‘en wees sterk, Josua, die seun van Jo'sadak, die hoëpriester.’

“En wees sterk, julle almal, die volk van die land,ⁿ sê Jehovah, ‘en werk.’

“Want ek is met julle,^o sê Jehovah van die leërmagte. **5** ‘Onthou wat ek julle belowe het toe julle uit Egipte gekom het,^p en ek lei julle nog steeds met my gees.^q Moenie bang wees nie.’^r

6 “Want dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Binnkort sal ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond nog 'n keer skud.’^s

2:3 *Lett. “huis”. 2:5 *Of moontlik “en toe my gees in julle midde gestaan het”.

7 “En ek sal al die nasies skud, en die kosbare* dinge van al die nasies sal inkom,^a en ek sal hierdie huis met heerlikheid vul,^b sê Jehovah van die leërmagte.

8 “Die silwer is myne, en die goud is myne,^c sê Jehovah van die leërmagte.

9 “Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vorige,^c sê Jehovah van die leërmagte.

“En in hierdie plek sal ek vrede gee,^d sê Jehovah van die leërmagte.”

10 Op die 24ste dag van die negende maand, in die tweede jaar van Darius, het Jehovah 'n boodskap deur middel van die profeet Haggai^e gestuur wat gesê het: 11 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Vra asseblief die priesters oor die wet:’ 12 “As 'n man heilige vleis in die vou van sy klere dra en sy klere aan brood of 'n gereg of wyn of olie of enige soort kos raak, sal dit heilig word?’”

Die priesters het geantwoord: “Nee!”

13 Haggai het toe gevra: “As iemand wat onrein is omdat hy aan 'n lyk geraak het,* aan enige van hierdie dinge raak, sal dit onrein word?’”^g

Die priesters het geantwoord: “Dit sal onrein word.”

14 Toe het Haggai gesê: “So is hierdie volk, en so is hierdie nasie voor my,^h sê Jehovah, ‘en so is al die werk van hulle hande. Wat hulle ook al daar aanbied, is onrein.’

15 “Maar dink nou asseblief mooi na oor wat julle doen* van vandag af: Hoe was dit in

2:7 *Of “begeerlike”. 2:13 *Of “onrein is deur 'n siel”. 2:15, 18 *Let. “rig asseblief julle hart hierop”.

HFST. 2

a Jes 2:2
Jes 60:5, 11b Eks 40:35
1Kn 8:11
Jes 66:12

c Jes 60:13

d Ps 85:8
Jes 2:4
Jes 60:17, 18
Sag 8:12

e Hag 1:1

f Mal 2:7

g Le 7:21
Nu 5:2, 3
Nu 9:6
Nu 19:11
Nu 31:19

Tweede kol.

a Esr 3:10
Sag 4:9b Hag 1:6
Sag 8:10

c De 28:22

d Esr 5:2
Sag 8:9

e Hag 1:6

f Spr 3:9, 10
Sag 8:12

g Hag 2:10

h Hag 2:6
Heb 12:26, 27i Jes 60:12
Da 2:44
Sef 3:8

j Rig 7:22

k Esr 3:8

l Mt 1:12

die tyd voordat daar begin is om die tempel van Jehovah te herbou?^a 16 As iemand by 'n hoop graan gekom het en 20 mate vermag het, was daar net 10. En as iemand by die parskuip gekom het om 50 mate uit die wyntrog te skep, was daar net 20.^b 17 Ek het julle – al die werk van julle hande – met verskroeiende hitte en swamsiektes^c en hael getref, maar nie een van julle het na my toe teruggekeer nie,^c sê Jehovah.

18 “Dink asseblief mooi na oor wat julle doen* van vandag af, van die 24ste dag van die negende maand, van die dag dat die fondament van die tempel van Jehovah gelê is.^d Dink mooi hiervoor na: 19 Is daar nog saad in die voorraadskuur?^e Die wingerdstok, die vyeboom, die granaatboom en die olyfboom – dit het nog nie vrug gedra nie, of hoe? Van vandag af sal ek 'n seëning stuur.’”^f

20 Jehovah het op die 24ste dag van die maand^g 'n tweede boodskap aan Haggai gestuur, en dit het gesê: 21 “Sê vir Serubba'el, die goewerneur van Juda: ‘Ek gaan die hemel en die aarde skud.^h 22 Ek sal die troon van koninkryke tot 'n val bring en die krag van die koninkryke van die nasies vernietig,ⁱ en ek sal die strydwa en dié wat daarop ry, tot 'n val bring, en die perde en hulle ruiters sal val, elkeen deur die swaard van sy broer.’”^j

23 “Op daardie dag,^j sê Jehovah van die leërmagte, ‘sal ek jou neem, my kneg Serubba'el,^k die seun van Seal'tiël,^l sê Jehovah, ‘en ek sal jou soos 'n seëlring maak, want ek het jou gekies,^j sê Jehovah van die leërmagte.”

2:19 *Of “graanput”.

SAGARIA

OORSIG

- 1 Versoek om na Jehovah terug te keer (1-6)
‘Keer terug na my, en ek sal na julle terugkeer’ (3)
Visioen 1: Perderuiters tussen mirtebome (7-17)
“Jehovah sal Sion weer vertrous” (17)
Visioen 2: Vier horings en vier ambagsmanne (18-21)
- 2 Visioen 3: Man met maatlyn (1-13)
Jerusalem sal gemeet word (2)
Jehovah, ‘muur van vuur rondom haar’ (5)
God se oogappel (8)
Baie nasies sal by Jehovah aansluit (11)
- 3 Visioen 4: Hoëpriester se klere vervang (1-10)
Satan staan hoëpriester Josua teë (1)
“Ek stuur my kneg, die Spruit!” (8)
- 4 Visioen 5: Lampstaander en twee olyfbome (1-14)
‘Nie deur krag nie, maar deur my gees’ (6)
Dag van klein begin nie onbelangrik nie (10)
- 5 Visioen 6: Vlieënde boekrol (1-4)
Visioen 7: Efa-houer (5-11)
Vrou met naam Goddeloosheid (8)
Houer na Sinear geneem (9-11)
- 6 Visioen 8: Vier strydwaens (1-8)
Spruit sal koning en priester wees (9-15)
- 7 Jehovah veroordeel vaste wat nie opreg is nie (1-14)
‘Het julle werklik vir my gevas?’ (5)
‘Behandel mekaar met geregtigheid, lojale liefde en genade’ (9)
- 8 Jehovah gee Sion vrede en waarheid (1-23)
Jerusalem, “stad van waarheid” (3)
“Praat die waarheid met mekaar” (16)
Vaste word feeste (18, 19)
‘Laat ons Jehovah dien’ (21)
Tien manne gryp kleed van Jood vas (23)
- 9 God se oordeel teen omliggende nasies (1-8)
Koms van Sion se koning (9, 10)
Nederige koning wat op donkie ry (9)
Jehovah se volk sal vrygelaat word (11-17)
- 10 Vra Jehovah, nie valse gode nie, vir reën (1, 2)
Jehovah verenig sy volk (3-12)
Sleutelpersoon uit huis van Juda (3, 4)
- 11 Gevolge omdat God se ware herder verwerp is (1-17)
“Wees ’n herder vir die kudde slagskape” (4)
Twee stawwe: Lieflikheid en Eenheid (7)
Herder se loon: 30 silwerstukke (12)
Geld in skatkamer gegooi (13)
- 12 Jehovah sal Juda en Jerusalem verdedig (1-9)
Jerusalem, “swaar klip” (3)
Gehuil oor een wat deurboor is (10-14)
- 13 Afgode en valse profete verwyder (1-6)
Valse profete sal hulle skaam (4-6)
Herder sal geslaan word (7-9)
Derde deel sal gesuiwer word (9)
- 14 Ware aanbidding sal oorwin (1-21)
Olyfberg sal middeldeer skeur (4)
Jehovah sal een wees, en sy naam een (9)
Plaag sal Jerusalem se teenstanders tref (12-15)
Huttefees gevier (16-19)
Elke pot sal vir Jehovah heilig wees (20, 21)

1 In die agtste maand van die tweede jaar van Darius het Jehovah 'n boodskap deur middel van die profeet Sagari'a,*^a die seun van Bereg'ja, die seun van Iddo, gestuur wat gesê het:^b

2 "Jehovah het baie kwaad geword vir julle voorvaders.^c

3 "Sê vir die volk: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Keer terug na my,' sê Jehovah van die leërmagte, 'en ek sal na julle terugkeer.'^d sê Jehovah van die leërmagte."

4 "Moenie soos julle voorvaders word nie, aan wie die vroeëre profete verkondig het: "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'Hou op met julle verkeerde weë en slegte dade.'"^e

"Maar hulle het nie geluister nie, en hulle het geen aandag aan my geskenk nie,'^f sê Jehovah.

5 "Waar is julle voorvaders nou? En het die profete vir ewig gelewe? **6** Maar het julle voorvaders nie die vervulling gesien van my woorde en my bevele wat ek aan my knegte, die profete, gegee het nie?^g Toe het hulle na my toe teruggekeer en gesê: 'Jehovah het ons vir ons weë en ons dade gestraf, net soos hy besluit het om te doen.'"^h

7 Op die 24ste dag van die 11de maand, dit wil sê die maand Sebat,* in die tweede jaar van Darius,ⁱ het Jehovah vir die profeet Sagari'a, die seun van Bereg'ja, die seun van Iddo, gesê: **8** "Ek het 'n visioen in die nag gesien. Daar was 'n man wat op 'n rooi perd gery het, en hy het stilgestaan tussen die mirtebome in die kloof. En agter hom was daar rooi, rooibruin en wit perde."

9 Ek het toe gevra: "Wie is hulle, my heer?"

1:1 *Betekens "Jehovah het onthou".
1:7 *Sien Aanh. B15.

HFST. 1

a Esr 5:1

b Esr 4:24

Hag 1:1

Hag 2:10

c 2Kn 22:16, 17

Jer 44:5, 6

d Ese 33:11

Mi 7:18, 19

Mal 3:7

e Esr 9:6, 7

Jes 1:16

Jes 55:7

Ho 14:1

f 2Kr 36:15, 16

Jer 11:7, 8

g 2Kr 36:17

Da 9:11, 12

h De 28:20, 45

Jer 23:20

i Esr 4:24

Tweede kol.

a Sag 1:15

b Ps 74:10

Ps 102:13

c 2Kr 36:20, 21

Jer 25:11, 12

Da 9:2

Sag 7:5

d Jl 2:18

Sag 8:2

e Jer 48:11

Sag 1:11

f Jes 54:8

g Ps 137:7

Jes 47:6

Jer 51:35

h Jes 12:1

Jer 33:14

Sag 8:3

i Esr 6:14, 15

Jes 44:28

Hag 1:14

j Jer 31:38, 39

Ese 40:2, 3

Sag 2:1, 2

k Jes 51:3

l Ps 132:13

Sag 2:12

Sag 3:2

m Sag 1:21

Die engel wat met my gepraat het, het geantwoord: "Ek sal vir jou wys wie hulle is."

10 Toe het die man wat tussen die mirtebome stilgestaan het, gesê: "Dit is hulle wat deur Jehovah uitgestuur is om die aarde te deurkruis." **11** En hulle het vir die engel van Jehovah wat tussen die mirtebome gestaan het, gesê: "Ons het die aarde deurkruis, en die hele aarde is rustig en stil."^a

12 Toe het die engel van Jehovah gevra: "O Jehovah van die leërmagte, hoe lank sal dit nog wees voordat u genade betoon aan Jerusalem en aan die stede van Juda,^b waarvoor u nou al 70 jaar lank kwaad is?"^c

13 Jehovah het die engel wat met my gepraat het, met vriendelike en vertroostende woorde geantwoord. **14** Toe het die engel wat met my gepraat het, vir my gesê: "Roep uit: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Ek is diep besorg oor Jerusalem en Sion."^d **15** Ek is baie kwaad vir die nasies wat dink dat hulle veilig is,^e want ek was nie só kwaad vir my volk nie,^f maar die nasies het die rampspoed erger gemaak."^g

16 "Daarom sê Jehovah: "Ek sal met genade na Jerusalem terugkeer.^h My eie huis sal daarin gebou word,"ⁱ sê Jehovah van die leërmagte, "en Jerusalem sal met 'n maatlyn gemeet word."^j

17 "Roep nog 'n keer uit en sê: 'Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "My stede sal weer oorloop van goedheid. En Jehovah sal Sion weer vertroos^k en Jerusalem weer uitkies."^l

18 Toe het ek opgekyk en vier horings gesien.^m **19** En ek het vir die engel wat met my gepraat het, gevra: "Wat is dit?"

Hy het geantwoord: "Dit is die horings wat Juda,^a Israel^b en Jerusalem^c verstrooi het."

20 Daarna het Jehovah vir my vier ambagsmanne gewys. **21** Ek het gevra: "Wat kom hulle doen?"

Hy het gesê: "Dit is die horings wat Juda so verstrooi het dat niemand sy kop kon oplig nie. Die ander sal kom om hulle bang te maak, om die horings neer te gooi van die nasies wat hulle horings teen die land van Juda gelig het om dit te verstrooi."

2 En ek het opgekyk en 'n man gesien met 'n maatlyn^d in sy hand. **2** Toe het ek gevra: "Waarheen gaan u?"

Hy het geantwoord: "Ek gaan Jerusalem meet om te sien wat haar breedte en haar lengte is."^e

3 Toe het die engel wat met my gepraat het, weggegaan, en 'n ander engel het na hom toe gekom. **4** Hy het vir hom gesê: "Hardloop na daardie jong man toe en sê vir hom: "Jerusalem sal soos 'n stad sonder mure wees omdat daar so baie mense en diere in die stad sal woon."^f **5** En ek sal rondom haar 'n muur van vuur word,"^g sê Jehovah, "en ek sal haar met my heerlikheid vul."^h

6 "Kom! Kom! Vlug uit die land van die noorde,"ⁱ sê Jehovah.

"Want ek het julle in alle* windrigtings verstrooi,"^j sê Jehovah.

7 "Kom, Sion! Vlug, jy wat by die dogter van Babilon woon."^k

8 Nadat Jehovah van die leërmagte verheerlik was, het hy my na die nasies gestuur deur wie julle onderdruk* is,^l en dít is wat hy sê: 'Wie aan julle

2:6 *Lett. "die vier". 2:8 *Of "geplunder".

HFST. 1

- a 2Kn 24:12, 14
b 2Kn 15:29
2Kn 17:6
2Kn 18:11
Jer 50:17
c 2Kn 25:11
2Kr 36:17, 19

HFST. 2

- d Sag 1:16
e Jer 31:38, 39
f Jes 33:20
Jes 44:26
Jer 30:18
Jer 31:24
Jer 33:10, 11
Ese 36:10
Sag 8:4, 5
g Ps 125:2
Jes 26:1
h Jes 12:6
Jes 60:19, 20
Hag 2:9
i Jes 11:12, 16
j De 28:64
Ese 5:12
k Jes 48:20
Jes 52:2
Jer 50:8
Mi 4:10
l 2Kn 24:2
Mi 4:11

Tweede kol.

- a De 32:9, 10
Ps 105:14, 15
2Te 1:6
b Jes 14:2
c Jes 35:10
d Jes 40:9, 10
e Le 26:11, 12
Jes 12:6
f Ps 22:27
Jes 2:2, 3
Sag 8:22, 23
g 2Kr 6:6
Sag 1:17

HFST. 3

- h Esr 5:2
Hag 1:14
Sag 6:11
i Job 1:6
j Jud 9
k 2Kr 6:6
Sag 2:12
l Eks 28:2
m Eks 29:6

raad, raad aan my oogappel.^a

9 Want nou sal ek my hand teen hulle oplig, en hulle sal deur hulle eie slawe as buit geneem word.^b En julle sal beslis weet dat Jehovah van die leërmagte my gestuur het.

10 "Roep van vreugde uit, o dogter van Sion,^c want ek kom,^d en ek sal by jou woon,"^e sê Jehovah. **11** "Baie nasies sal in daardie dag by Jehovah aansluit,^f en hulle sal my volk word, en ek sal by hulle woon." En jy sal moet weet dat Jehovah van die leërmagte my na jou toe gestuur het. **12** Jehovah sal Juda in besit neem as sy deel op die heilige grond, en hy sal Jerusalem weer uitkies.^g **13** Wees stil voor Jehovah, alle mense,* want hy tree op vanuit sy heilige woonplek.

3 En hy het my die hoëpriester Josua^h gewys, wat voor die engel van Jehovah staan, en Satanⁱ het aan sy regterkant gestaan om hom teë te staan.

2 Toe het die engel van Jehovah vir Satan gesê: "Mag Jehovah jou bestraf, o Satan,^j ja, mag Jehovah, wat Jerusalem uitgekies het,^k jou bestraf! Is hierdie man nie 'n brandende stomp wat uit die vuur geruk is nie?"

3 En Josua het in vuil klere voor die engel gestaan. **4** Die engel het vir dié wat voor hom staan, gesê: "Trek sy vuil klere uit." Toe het hy vir hom gesê: "Ek het jou oortreding* van jou weggeneem, en daar sal vir jou pragtige klere" aange-trek word."^l

5 Ek het gesê: "Laat hulle 'n skoon tulband op sy kop sit."^m En hulle het die skoon tulband op sy kop gesit en vir hom

2:13 *Lett. "vlees". 3:4 *Of "skuld".
*Of "feesklere".

klere aangetrek. Die engel van Jehovah het daar naby gestaan. **6** Die engel van Jehovah het toe vir Josua gesê: **7** "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'As jy my weë volg en jou verantwoordelikhede teenoor my nakom, dan sal jy as 'n regter in my huis dien^a en na my voorhowe omsien.* Ek sal jou vrye toegang gee, net soos dié wat hier staan.'

8 "Luister asseblief, o hoëpriester Josua, jy en die priesters wat voor jou sit, want hierdie manne dien as 'n teken. Kyk, ek stuur my kneg,^b die Spruit!^c **9** Kyk na die steen wat ek voor Josua neergesit het! Sewe oë is op die een steen.* En ek graveer 'n inskripsie daarop,' sê Jehovah van die leërmagte, 'en ek sal die oortreding[#] van daardie land in een dag wegneem.'^d

10 "In daardie dag,' sê Jehovah van die leërmagte, 'sal julle mekaar uitnooi om onder julle wingerdstok en onder julle vyeboom te kom sit.'^e

4 Die engel wat met my gepraat het, het teruggekóm en my wakker gemaak soos 'n mens iemand uit sy slaap wakker maak. **2** Toe het hy vir my gevra: "Wat sien jy?"

En ek het gesê: "Ek sien 'n lampstaander van soliede goud,^f met 'n bak daarop. Dit het sewe lampe,^g ja, sewe. Die lampe, wat bo-aan is, het sewe pype. **3** En daar is twee olyfbome langs die lampstaander,^h een aan die regterkant van die bak en een aan die linkerkant."

4 Toe vra ek die engel wat met my gepraat het: "Wat beteken hierdie dinge, my heer?"

3:7 *Of "verantwoordelik wees vir my voorhowe; my voorhowe bewaak". **3:9** *Dit beteken moontlik dat sewe oë na die steen kyk. "Of "skuld".

HFST. 3

a Mal 2:7

b Jes 42:1
Jes 52:13c Jes 11:1
Jes 53:2, 11
Jer 23:5
Jer 33:15
Sag 6:12

d Jer 50:20

e 1Kn 4:25
Ho 2:18
Mi 4:4

HFST. 4

f Eks 25:31
1Kn 7:48, 49

g Eks 25:37

h Sag 4:11, 14
Op 11:3, 4

Tweede kol.

a 1Sa 17:45
Ho 1:7b Rig 6:34
Rig 15:14c Esr 3:2
Hag 1:1

d Jes 40:4

e Esr 3:8, 10
Esr 5:14, 16f Esr 6:14
Sag 6:12g Esr 3:12
Hag 2:3h 2Kr 16:9
Spr 15:3
Jer 16:17
Op 5:6

i Sag 4:2, 3

j Hag 2:4
Op 11:3, 4

5 En die engel wat met my gepraat het, het gevra: "Weet jy nie wat hierdie dinge beteken nie?"

Ek het geantwoord: "Nee, my heer."

6 Hy het toe vir my gesê: "Dit is die woord van Jehovah aan Serubba'bel: "Nie deur 'n leërmag of deur krag nie,^a maar deur my gees,^b sê Jehovah van die leërmagte. **7** Wie is jy, o groot berg? Voor Serubba'bel^c sal jy 'n vlakte word.^d En hy sal die boonste steen bring terwyl daar uitgeroep word: "Hoe wonderlik! Hoe wonderlik!"^e

8 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: **9** "Die hande van Serubba'bel het die fondament van hierdie huis gelê,^e en sy hande sal dit voltooi.^f En julle sal moet weet dat Jehovah van die leërmagte my na julle toe gestuur het. **10** Want wie het die dag van 'n klein begin* as onbelangrik beskou?^g Hulle sal bly wees en die skietlood in die hand van Serubba'bel sien. Hierdie sewe is die oë van Jehovah, wat die hele aarde deursoek."^h

11 Toe het ek vir hom gevra: "Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant en aan die linkerkant van die lampstaander?"ⁱ **12** Ek het hom 'n tweede keer gevra: "Wat beteken die twee bondels takkies* van die olyfbome waaruit die goue vloeistof deur die twee goue pype vloei?"

13 Toe het hy vir my gevra: "Weet jy nie wat hierdie dinge beteken nie?"

Ek het geantwoord: "Nee, my heer."

14 Hy het gesê: "Dit is die twee gesalfdes wat langs die Here van die hele aarde staan."^j

4:10 *Of "van klein dinge". **4:12** *D.w.s. takkies wat vol vrugte is.

5 Ek het weer opgekyk, en ek het 'n vlieënde boekrol gesien. **2** Hy het vir my gevra: "Wat sien jy?"

Ek het geantwoord: "Ek sien 'n vlieënde boekrol, waarvan die lengte 20 el* en die breedte 10 el is."

3 Toe het hy vir my gesê: "Dit is die vloek wat oor die oppervlak van die hele aarde uitgaan, want elkeen wat steel,^a soos op die een kant geskryf staan, het ongestraf gebly. En elkeen wat 'n eed sweer,^b soos op die ander kant geskryf staan, het ongestraf gebly. **4** 'Ek het dit uitgestuur,' sê Jehovah van die leërmagte, 'en dit sal in die huis van die dief ingaan en in die huis van die een wat in my naam 'n valse eed aflê. En dit sal in daardie huis bly en dit vernietig, saam met sy balke en sy klippe.'"

5 Toe het die engel wat met my gepraat het, vorentoe gekom en vir my gesê: "Kyk asseblief op, en kyk na wat daar verskyn."

6 En ek het gevra: "Wat is dit?"

Hy het geantwoord: "Dit is die efa-houer* wat verskyn." En hy het verder gesê: "Dit is hoe hulle op die hele aarde lyk."

7 En ek het gesien dat die ronde looddeksel opgelig word, en 'n vrou het in die houer gesit.

8 Toe het hy gesê: "Dit is Goddeloosheid." Daarna het hy haar in die houer teruggedruk en die looddeksel op die opening daarvan gegooi.

9 Toe het ek opgekyk en twee vrouens sien aankom, en

5:2 *n El was gelyk aan 44,5 cm. Sien Aanb. B14. 5:6 *Lett. "die efa", wat hier verwys na 'n houer of mandjie wat gebruik is om 'n efa af te meet. 'n Efa was gelyk aan 22 l. Sien Aanb. B14.

HFST. 5
a Eks 20:15

b Eks 20:7
Le 19:12

Tweede kol.
a Ge 10:8, 10
Ge 11:1, 2
Da 1:2

HFST. 6
b Sag 6:6

c Sag 6:7

d Ps 104:4

e 2Kr 18:18
Job 1:6
Da 7:10
Lu 1:19
Heb 1:7, 14

f Sag 2:6, 7

hulle het op die wind gesweef. Hulle het vlerke gehad soos die vlerke van 'n ooievaar. En hulle het die houer tussen die hemel en die aarde opgelig. **10** Toe het ek vir die engel wat met my gepraat het, gevra: "Waarheen neem hulle die houer?"

11 Hy het geantwoord: "Na die land Si'near,^{*a} waar 'n huis vir haar gebou sal word. En wanneer dit klaar is, sal sy daar op haar regte plek neergesit word."

6 Toe het ek weer opgekyk en vier strydwaens gesien wat tussen twee berge uitkom. Die berge was van koper. **2** Die eerste strydwa het rooi perde gehad, en die tweede strydwa swart perde.^b **3** Die derde strydwa het wit perde gehad, en die vierde strydwa gespikkelde en bont perde.^c

4 Ek het vir die engel wat met my gepraat het, gevra: "Wat is dit, my heer?"

5 Die engel het my geantwoord: "Dit is die vier geeste^d van die hemel wat uitgaan nadat hulle hulle plek voor die Here van die hele aarde ingeneem het.^e **6** Die een* met die swart perde gaan na die land van die noorde,^f die wit perde gaan na die land agter die see en die gespikkeldes gaan na die land van die suide. **7** En die bontes was gretig om te gaan en die aarde te deurkruis." Toe het hy gesê: "Gaan, deurkruis die aarde." En hulle het die aarde gaan deurkruis.

8 Hy het toe na my geroep en gesê: "Kyk, dié wat na die land van die noorde gaan, het die gees van Jehovah in die land van die noorde laat rus."

5:11 *D.w.s. Babilonië. 6:6 *D.w.s. die strydwa.

9 Jehovah het weer met my gepraat en gesê: 10 "Neem van Heldai, Tobi'a en Jeda'ja van die bydraes wat hulle van die ballinge* teruggebring het. En op daardie dag moet jy saam met dié wat uit Babilon gekom het, na die huis van Josi'a, die seun van Sefan'ja, gaan. 11 Jy moet silwer en goud neem en 'n kroon maak en dit op die kop sit van die hoëpriester Josua,^a die seun van Jo'sadak. 12 En sê vir hom:

"Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: "Hier is die man wie se naam Spruit^b is. Hy sal uit sy plek uitspruit, en hy sal die tempel van Jehovah bou.^c 13 Hy is die een wat die tempel van Jehovah sal bou, en hy is die een wat die majesteit sal ontvang. Hy sal op sy troon gaan sit en regeer, en hy sal ook 'n priester op sy troon wees.^d En daar sal vrede* tussen die twee^e wees. 14 En die kroon sal in die tempel van Jehovah dien as 'n herinnering aan Helem, Tobi'a, Jeda'ja^e en Hen, die seun van Sefan'ja. 15 En dié wat ver is, sal kom en aan die tempel van Jehovah bou." En julle sal moet weet dat Jehovah van die leërmagte my na julle toe gestuur het. En dit sal gebeur – as julle na die stem van Jehovah julle God luister."

7 En in die vierde jaar van koning Darius het Sagari'a^f die woord van Jehovah ontvang op die vierde dag van die negende maand, dit wil sê die maand Kislef.* 2 Die inwoners van Bet-El het Sare'ser en Regem-Meleg en sy manne gestuur om Jeho-

6:10 *D.w.s. mense wat uit hulle land weggevoer is. 6:13 *Of "'n vreedsame ooreenkoms". #D.w.s. tussen sy rol as heerser en sy rol as priester. 7:1 *Sien Aanh. B15.

HFST. 6

a Hag 1:1
Sag 3:3, 5b Jes 11:1
Sag 3:8

c Sag 8:9

d Heb 3:1
Heb 4:14
Heb 8:1

e Sag 6:10

HFST. 7

f Esr 6:14
Sag 1:1

Tweede kol.

a 2Kn 25:8-10
Jer 52:12-14b Jer 25:11
Sag 1:12

c Jer 41:1, 2

d 2Kr 36:15

e Spr 21:3
Jer 21:12f Spr 16:6
Ho 10:12
Mi 6:8g Eks 22:22
De 24:17
Jes 1:17h Eks 23:9
Mal 3:5

i Spr 22:22

j Sag 8:17

k 2Kr 33:10
Jer 6:10

l Ne 9:29

m 2Kn 17:13, 14
Jes 6:10
Jer 25:7

n Ese 3:7

vah om genade te smeek 3 en om vir die priesters van die huis* van Jehovah van die leërmagte en vir die profete te vra: "Moet ek in die vyfde maand^a vas en treur, soos ek al baie jare doen?"

4 Jehovah van die leërmagte het toe vir my gesê: 5 "Sê vir die hele volk van die land en vir die priesters: 'Toe julle 70 jaar lank^b in die vyfde maand en in die sewende maand^c gevas en getreur het, het julle dit werklik vir my gedoen? 6 En toe julle geëet en gedrink het, het julle nie vir julleself geëet en vir julleself gedrink nie? 7 Moet julle nie die woorde gehoorsaam wat Jehovah deur middel van die vroeëre profete verkondig het nie,^d terwyl Jerusalem en die omliggende stede bewoon was en vrede geniet het, en terwyl die Negeb en die Sjefe'la nog bewoon was?'"

8 Jehovah het weer met Sagari'a gepraat en gesê: 9 "Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: 'Oordeel met ware geregtigheid,^e en behandel mekaar met lojale liefde^f en genade. 10 Moenie die weduwe of die weeskind,^g die uitlander^h of die armeⁱ uitbuit nie. Moenie in julle harte slegte planne teen mekaar beraam nie.^j 11 Maar hulle het bly weier om aandag te skenk,^k en hulle was hardkoppig^l en hulle wou nie luister nie.^m 12 Hulle het hulle hart so hard soos 'n diamant* gemaak.ⁿ En hulle wou nie gehoorsaam wees aan die wet^o en die woorde wat Jehovah van die leërmagte deur sy gees deur middel van die vroeëre profe-

7:3 *Of "tempel". 7:10 *Lett. "vaderlose seun". 7:12 *Of moontlik "'n harde steen", soos 'n amarilsteen. #Of "onderrigting".

te gestuur het nie.^a Daarom het Jehovah van die leërmagte woe-dend geword.”^b

13 “Net soos hulle nie geluister het toe ek geroep het nie,^c so het ek nie geluister toe hulle geroep het nie,^d sê Jehovah van die leërmagte. **14** ‘En ek het hulle met ’n stormwind onder al die nasies verstrooi wat hulle nie geken het nie.^e Die land was verlate agter hulle en niemand het daardeur getrek of daarheen teruggekom nie.^f Want hulle het die begeerlike land iets skokkends laat word.”

8 Jehovah van die leërmagte het weer met my gepraat en gesê: **2** “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Ek sal diep besorg wees oor Sion,^g en ek sal haar met groot woede verdedig.”

3 “Dit is wat Jehovah sê: ‘Ek sal na Sion terugkeer^h en in Jerusalem woon.ⁱ En Jerusalem sal die stad van waarheid* genoem word,^j en die berg van Jehovah van die leërmagte sal die heilige berg genoem word.”^k

4 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Ou mans en vrouens sal weer op die openbare pleine van Jerusalem sit, elkeen met ’n kierie in die hand omdat hulle so oud is.^l **5** En die openbare pleine van die stad sal vol seuns en meisies wees wat daar speel.”^m

6 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Miskien lyk dit in daardie dae vir die oorblywendes van hierdie volk te moeilik, maar sal dit dan vir my ook te moeilik lyk? sê Jehovah van die leërmagte.”

7 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Ek red my volk uit die lande van die ooste en

HFST. 7

- a Ne 9:30
- Han 7:51
- b 2Kr 36:15, 16
- Jer 21:5
- c Jes 50:2
- d Jes 1:15
- Klg 3:44
- e De 28:64
- Jer 5:15
- f Le 26:22, 33
- 2Kr 36:20, 21

HFST. 8

- g Jl 2:18
- Sag 1:14
- h Sag 1:16
- i Jes 12:6
- Jl 3:17
- Sag 2:11
- Sag 8:8
- j Jes 1:26
- Jes 60:14
- Jer 33:16
- k Jes 2:2
- Jes 11:9
- Jes 66:20
- Jer 31:23
- l Jes 65:20
- Jer 30:10
- m Jer 30:19
- Jer 31:4, 27
- Sag 2:4

Tweede kol.

- a Ps 107:2, 3
- b Jer 3:17
- Jl 3:20
- Am 9:14
- c Le 26:12
- Jer 30:22
- Ese 11:20
- d Jes 35:4
- Hag 2:4
- e Esr 5:1
- f Hag 1:6
- g Hag 2:19
- h Le 26:4
- De 28:4
- Jes 30:23
- i Jes 35:10
- Jes 61:7
- j De 28:37
- Jer 42:18
- k Ge 22:18
- Jes 19:24, 25
- l Jes 41:10
- m Jes 35:4
- n Jer 4:28
- Ese 24:14

die weste.^{*a} **8** En ek sal hulle beslis na Jerusalem bring, en hulle sal daar woon.^b En hulle sal my volk word, en ek sal hulle die God word^c in waarheid* en in regverdigheid.”

9 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Wees moedig,^{*d} julle wat nou hierdie woorde uit die mond van die profete hoor,^e dieselfde woorde wat gesê is op die dag toe die fondament van die huis van Jehovah van die leërmagte gelê is sodat die tempel gebou kan word. **10** Voor daardie tyd het geen mens of dier ’n loon ontvang nie,^f en dit was weens die teenstander nie veilig om te kom of te gaan nie, want ek het alle mense teen mekaar laat draai.’

11 “Maar nou sal ek die oorblywendes van hierdie volk nie soos voorheen behandel nie,^g sê Jehovah van die leërmagte. **12** ‘Want die saad van vrede sal gesaaai word. Die wingerdstok sal sy vrug gee, die aarde sal sy opbrengs lewer^h en die hemel sal sy dou gee. En ek sal die oorblywendes van hierdie volk al hierdie dinge laat erf.ⁱ **13** En net soos julle ’n vloek onder die nasies geword het,^j o huis van Juda en huis van Israel, so sal ek julle red, en julle sal ’n seën word.^k Moenie bang wees nie! Wees moedig.’^{*m}

14 “Want dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: “Net soos ek besluit het om rampspoed oor julle te bring omdat julle voorvaders my kwaad gemaak het,” sê Jehovah van die leërmagte, “en ek glad nie spyt gevoel het nie,ⁿ **15** so het ek nou besluit om goed te doen aan

8:7 *Of “uit die land van die sonsopkoms en die land van die sonsondergang”. **8:9, 13** *Lett. “Laat julle hande sterk wees”.

Jerusalem en aan die huis van Juda.^a Moenie bang wees nie!”^b

16 “Dit is die dinge wat julle moet doen: Praat die waarheid met mekaar.^c Die oordele in julle poorte moet waarheid en vrede bevorder.^d **17** Moenie in julle harte slegte dinge teen mekaar beplan nie,^e en moenie ’n valse eed liefhê nie,^f want ek haat al hierdie dinge,^g sê Jehovah.”

18 Jehovah van die leërmagte het weer met my gepraat en gesê: **19** “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Die vas van die vierde maand,^h die vas van die vyfde maand,ⁱ die vas van die sewende maand^j en die vas van die tiende maand^k sal vir die huis van Juda geleenthede vir vrolikheid en blydskap wees – vreugdevolle feeste.’ Daarom moet julle waarheid en vrede liefhê.’

20 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘Volke en die inwoners van baie stede sal hierheen kom. **21** En die inwoners van een stad sal na dié van ’n ander stad gaan en sê: “Kom! Laat ons gaan om Jehovah se goedkeuring te soek en om Jehovah van die leërmagte te dien.* Ek gaan ook.”^m **22** En baie volke en magtige nasies sal kom om Jehovah van die leërmagte in Jerusalem te dien*ⁿ en om Jehovah se goedkeuring te soek.’

23 “Dit is wat Jehovah van die leërmagte sê: ‘In daardie dae sal tien manne uit al die tale van die nasies^o die kleed* van ’n Jood^p vasgryp, ja, hulle sal dit styf vasgryp en sê: “Ons wil saam met julle gaan,^p want ons het gehoor dat God met julle is.””^q

8:21, 22 *Lett. “soek”. **8:23** *Of “die onderste deel van die kleed”. *Lett. “’n Joodse man”.

HFST. 8

a Jer 31:28

Jer 32:42

b Jes 43:1

Sef 3:16

c Le 19:11

Spr 12:19

Ef 4:25

d Sag 7:9

e Sag 7:10

f Sag 5:4

g Spr 6:16-19

h Jer 52:6, 7

i Jer 52:12-14

j 2Kn 25:25

Sag 7:5

k Jer 52:4

l Jes 35:10

Jer 31:12

m Jer 50:4, 5

n Ps 22:27

Jes 2:2, 3

Jes 11:10

Jes 55:5

Jes 60:3

Ho 1:10

Mi 4:2

Hag 2:7

o Sag 2:11

Op 7:9

Op 14:6

p Eks 12:37, 38

q Jes 45:14

Tweede kol.

HFST. 9

a Jer 49:27

Am 1:3

b Heb 4:13

IPe 3:12

c Jer 49:23

d Jes 23:1

Am 1:9, 10

e Ese 28:21

Jl 3:4

f Ese 28:2, 3

g Ese 27:32, 33

h Ese 26:17

Ese 27:26

i Ese 28:18

j Sef 2:4

k Am 1:8

9 ’n Oordeelsboodskap:

“Die woord van Jehovah is teen die land Hadrag, en Damaskus is die teiken* daarvan^a

– want Jehovah se oë is op die mens^b

en op al die stamme van Israel –

2 en dit is teen Hamat,^c wat aan haar grens, en teen Tirus^d en Sidon^e met al hulle wysheid.^f

3 Tirus het vir haarself ’n versterkte muur* gebou.

Sy het silwer soos stof opgehoop,

en goud soos die modder van die strate.^g

4 Jehovah sal haar besittings wegneem,

en hy sal haar leërmag by die see* verslaan.^h

En sy sal deur vuur verteer word.ⁱ

5 As’kelon sal dit sien en bang wees.

Gasa sal groot angs ervaar, en ook Ekron, omdat die een waarop sy gehoop het, verneder is.

’n Koning sal uit Gasa verdwyn,

en As’kelon sal nie bewoon word nie.^j

6 ’n Buite-egtelike seun sal in Asdod gaan woon, en ek sal ’n einde maak aan die trots van die Filistyn.^k

7 Ek sal die bloedbevlekte dinge uit sy mond verwyder, en die walglike dinge tussen sy tande uit, en wie van hom oorbly, sal aan ons God behoort.

9:1 *Lett. “rusplek”. **9:3** *Of “’n skans; ’n vesting”. **9:4** *Of moontlik “op die see”.

- Hy sal soos 'n sjeik* in Juda word,^a
 en Ekron soos die Jebusiet.^b
- 8** Ek sal as 'n wag kamp opslaan om my huis te verdedig,^c
 sodat niemand daar sal ingaan of uitkom nie.
 Geen taakgewer* sal weer daardeur trek nie,^d
 want nou het ek dit[#] met my eie oë gesien.
- 9** Wees baie bly, o dogter van Sion.
 Roep van vreugde uit,
 o dogter van Jerusalem.
 Jou koning kom na jou toe.^e
 Hy is regverdig en bring redding,^{*}
 hy is nederig^f en ry op 'n donkie,
 op die vul[#] van 'n donkie.^g
- 10** Ek sal die strydwa uit E'fraim wegneem,
 en die perd uit Jerusalem.
 Die boog sal weggeneem word.
 En hy sal vrede aan die nasies verkondig.^h
 Sy heerskappy sal van see tot see
 en van die Rivier* tot aan die eindes van die aarde wees.ⁱ
- 11** O vrou, deur die bloed van jou verbond
 sal ek jou gevangenes vrylaat uit die waterlose put.^j
- 12** Keer terug na die vesting, o gevangenes wat hoop het.^k
 Ek sê vandag vir jou:
 'Jy, o vrou, sal 'n dubbele seën van my ontvang.^l
- 13** Want ek sal Juda as my boog span.*
- 9:7** *'n Sjeik was 'n stamhoof. **9:8** *Of "onderdrukker". [#]Verwys blykbaar na die onderdrukking van sy volk. **9:9** *Of "en 'n oorwinnaar; en gered". [#]Of "hingsvul". **9:10** *Die Eufraatrivier. **9:13** *Lett. "trap".
- HFST. 9**
 a Jes 60:14
 b 2Sa 5:6, 7
 1Kn 9:20, 21
 c Ps 125:2
 d Jes 54:14
 e Ps 2:6
 Jes 32:1
 Jer 23:5
 Lu 19:37, 38
 Joh 1:49
 f Mt 11:29
 g 1Kn 1:33, 34
 Mt 21:5, 7
 Joh 12:14, 15
 h Jes 9:7
 i Eks 23:31
 Ps 2:8
 Ps 72:8
 j Jes 49:9
 k Jes 61:1
 Jer 31:17
 l Jes 61:7
- Tweede kol.**
 a Jos 6:5
 b Mi 5:9
 Sag 10:5
 Sag 12:6
 c Eks 27:2
 Le 4:7
 d Ese 34:22
 e Jes 62:3
 Sef 3:20
 f Ps 25:8
 Ps 31:19
 Jes 63:7
 g Jes 62:8
 Jl 3:18
 Am 9:13
- HFST. 10**
 h De 11:14
 Jer 14:22
 Jer 51:16
 Ese 34:26
 Jl 2:23

- E'fraim sal die pyl in my boog wees.
 En ek sal jou seuns laat opstaan, o Sion,
 teen jou seuns, o Grieke-land,
 en ek sal jou soos 'n vegter se swaard maak.'
- 14** Jehovah sal bo hulle gesien word,
 en sy pyl sal soos weerlig uitskiet.
 Die Soewereine Heer Jehovah sal op die horing blaas,^a
 en hy sal met die windstorms van die suide kom.
- 15** Jehovah van die leërmagte sal hulle verdedig,
 en hulle sal die slingerklippe verslind en vertrap.^b
 Hulle sal lawaaiërig wees asof hulle wyn gedrink het.
 En hulle sal gevul word soos die offerbak,
 soos die hoeke van die altaar.^c
- 16** Jehovah hulle God sal hulle in daardie dag red
 as sy volk, sy kudde,^d
 want hulle sal soos die edelstene van 'n kroon wees
 wat glinster oor sy land.^e
- 17** Want hoe groot is sy goedheid tog,^f
 en hoe groot is sy heerlikheid!
 Graan sal die jong manne laat floreer,
 en nuwe wyn die maagde.^g
- 10** "Vra Jehovah vir reën in die tyd van die lente-reën.
 Dit is Jehovah wat die onweerswolke maak,
 wat reën gee aan die mense,^h
 en plante in die veld vir almal.

- 2** Want die terafim-beelde* het iets bedriegliks[#] gesê, en die waarsêers het 'n valse visioen gesien. Hulle praat oor waardelose drome, en hulle probeer tevergeefs om te vertrou. Daarom sal hulle soos skape rondwaal. Hulle sal ly omdat daar geen herder is nie.
- 3** Ek is woedend vir die herders, en ek sal die onderdrukken-de leiers* oordeel. Want Jehovah van die leërmagte het sy aandag op sy kudde,^a die huis van Juda, gerig. Hy het hulle soos sy trotse perd in die geveg gemaak.
- 4** Uit hom kom die sleutel-persoon,* uit hom kom die ondersteunende heerser,[#] uit hom kom die boog, uit hom kom elke opsiener,^Δ hulle almal saam.
- 5** En hulle sal soos vegters word wat die modder van die strate in die geveg vertrap. Hulle sal oorlog voer, want Jehovah is met hulle.^b Die perderuiters sal verneder word.^c
- 6** Ek sal die huis van Juda magtig maak, en ek sal die huis van Josef red.^d Ek sal hulle na hulle land terugbring,
- 10:2** *Of "huisgode; afgode". [#]Of "iets bonatuurliks". **10:3** *Lett. "die bokramme". **10:4** *Lett. "die hoektoring", beeldspraak wat verwys na 'n belangrike man; 'n leier. [#]Lett. "die pen", beeldspraak wat verwys na iemand wat ondersteun; 'n heerser. ^ΔOf "taakgewer".
- HFST. 10
a Ese 34:16, 17
b De 20:1
c Hag 2:22
d Jer 3:18
Ese 37:16, 19
Ho 1:10, 11
- Tweede kol.
a Jer 31:9, 20
b Jer 30:18
c Sag 9:15
d Jes 66:14
Sef 3:14
e Jes 44:22
Jes 51:11
f Jes 11:11
g Jer 50:19
Mi 7:14
h Jes 49:19, 20
Jes 54:1, 2
i Jes 11:15
j Jes 19:1
Ese 30:13
k Jes 41:10
Jes 45:24
l Mi 4:5

- want ek sal genade aan hulle betoon.^a En dit sal wees asof ek hulle nooit verwerp het nie.^b want ek is Jehovah hulle God, en ek sal hulle antwoord.
- 7** E'fraim sal soos 'n sterk vegter word, en hulle harte sal vrolik wees asof hulle wyn gedrink het.^c Hulle kinders sal dit sien en bly wees. Hulle harte sal vreugde vind in Jehovah.^d
- 8** 'Ek sal vir hulle fluit en hulle bymeekaarmaak, want ek sal hulle loskoop,^e en hulle sal baie word, en hulle sal altyd baie wees.
- 9** Al verstrooi ek hulle soos saad onder die volke, sal hulle in daardie verplekke aan my dink. Hulle sal saam met hulle kinders nuwe lewe kry en terugkeer.
- 10** Ek sal hulle uit Egipte terugbring, en hulle uit Assirië bymeekaarmaak.^f Ek sal hulle na die land Gi'lead^g en na die Li'banon bring. Daar sal nie genoeg plek vir hulle wees nie.^h
- 11** Hy sal deur die see trek en dit versteur, en in die see sal hy die golwe neerslaan.ⁱ Al die dieptes van die Nyl sal opdroog. Die trotse Assirië sal verneder word, en die septer van Egipte sal verdwyn.^j
- 12** Ek, Jehovah, sal hulle verhef,^k en hulle sal in my naam wandel,^l sê Jehovah."

11 “Maak jou deure oop,
o Li’banon,
sodat ’n vuur jou sederbome
kan verteer.

2 Huil, o jenewerboom, want
die sederboom het geval.
Die magtige bome is
vernietig!

Huil, o eikebome van Basan,
want die digte woud is
verwoes!

3 Luister hoe die herders huil,
want hulle heerlikheid het
verdwyn.

Luister hoe die jong leeus*
brul,
want die digte bosse langs
die Jordaanrivier is ver-
woes.

4 “Dit is wat Jehovah my
God sê: ‘Wees ’n herder vir
die kudde slagskape.’^a **5** Hulle
kopers slag hulle,^b maar word
nie skuldig bevind nie. En hulle
verkopers^c sê: “Mag Jehovah
geloof word, want ek sal ryk
word.” Hulle herders voel nie
jammer vir hulle nie.’^d

6 “Want ek sal nie langer
medelye* betoon aan die inwoners
van die land nie,’ sê Jehova.
‘Daarom sal ek elkeen aan[#]
sy medemens en sy koning oor-
lewer. En hulle sal die land ver-
woes, en ek sal hulle nie red
nie.’”

7 En ek het ter wille van jul-
le, o skape wat onderdruk word,
’n herder geword vir die kud-
de slagskape.^e Ek het twee staw-
we geneem, en ek het die een
Lieflikheid genoem, en die an-
der een het ek Eenheid* ge-
noem,^f en ek het ’n herder vir
die kudde geword. **8** En ek het
drie herders in een maand weg-
gestuur, want ek het ongeduldig

11:3 *Of “jong maanhaarleus”. **11:6**
*Sien Woordelys. [#] Lett. “in die hand
van”. **11:7, 14** *Of “Saambinding”.

HFST. 11
a Ese 34:8

b Ese 22:25

c Ne 5:8

d Ese 34:2, 4

e Sag 11:4

f Sag 11:10, 14

Tweede kol.

a Sag 11:7

b Mt 26:14, 15
Mt 27:9
Mr 14:10, 11

c Eks 21:32

d Mt 27:5, 6
Han 1:18

e Sag 11:7

f 1Kn 12:19, 20
Ese 37:16

g Ese 34:2, 4

h Jer 23:2
Ese 34:6
Mt 9:36

i Ese 34:21

j Ge 31:38

k Ese 34:3, 10

l Jer 23:1
Mt 23:13

m Joh 10:12

met hulle geraak, en hulle kon
my ook nie verdra nie. **9** En ek
het gesê: “Ek sal nie meer jul-
le herder wees nie. Laat die een
wat sterf, maar sterf. En laat
die een wat verdwyn, maar ver-
dwyn. En laat dié wat oorbly,
mekaar verslind.” **10** Toe het
ek my staf Lieflikheid^a geneem
en dit stukkend gekap. So het
ek my verbond verbreek wat ek
met al die volke gemaak het.
11 En dit is op daardie dag ver-
breek, en die onderdrukte van
die kudde wat my dopgehou het,
het geweet dat dit ’n boodskap
van Jehovah was.

12 Toe het ek vir hulle gesê:
“As dit reg is met julle, gee my
my loon, maar as dit nie is nie,
moet julle dit nie gee nie.” En
hulle het my loon betaal.* **30** sil-
werstukke.^b

13 Daarna het Jehovah vir
my gesê: “Gooi dit in die skat-
kamer – dit is die groot waarde
wat ek in hulle oë het.”^c En ek
het die **30** silwerstukke geneem
en dit in die skatkamer in die
huis van Jehovah gegooi.^d

14 Toe het ek my tweede
staf, Eenheid,^e stukkend gekap.
So het ek die broederskap
tussen Juda en Israel verbreek.^f

15 En Jehovah het vir my ge-
sê: “Neem nou die gereed-
skap van ’n nikswerd herder.^g
16 Want ek laat ’n herder in die
land opstaan. Hy sal nie vir die
skape sorg wat doodgaan nie.^h
Hy sal nie die jong skape soek
of die beseerde skape geneesⁱ
of dié wat kan staan, kos gee
nie. Maar hy sal die vleis van die
vette^j eet en die hoewe van die
skape afruk.^k

17 Dit sal sleg gaan met my
nikswerd herder,^j wat die
kudde verlaat!^m

11:12 *Lett. “afgeweeg”.

'n Swaard sal sy arm en sy regteroog tref.

Sy arm sal heeltemal verdor, en sy regteroog sal heeltemal blind* word."

12 'n Belangrike boodskap:

"Dit is die woord van Jehovah oor Israel," sê Jehovah,

die Een wat die hemel uitgespan het,^a

wat die fondament van die aarde gelê het^b

en wat die gees* van die mens in hom gevorm het.

2 "Ek maak Jerusalem 'n beker* wat al die omliggende volke laat dronk word. En Juda sowel as Jerusalem sal beleër word.^c 3 In daardie dag sal ek Jerusalem 'n swaar klip vir al die volke maak. Almal wat dit optel, sal vir seker ernstig be-seer word.^d En al die nasies van die aarde sal teen haar byme-kaar-kom.^e 4 In daardie dag," sê Jehovah, "sal ek al die perde laat skrik en hulle ruiters paniekbevange maak. Ek sal my oë op die huis van Juda hou, maar ek sal al die perde van die volke blind laat word. 5 En die sjeiks* van Juda sal in hulle hart sê: 'Die inwoners van Jerusalem is vir my 'n sterkte dank-sy Jehovah van die leërmagte, hulle God.'^f 6 In daardie dag sal ek die sjeiks van Juda maak soos 'n vuurbak tussen die hout en soos 'n vuurfakkell in 'n ry gesnyde graan.^g Hulle sal al die omliggende volke verteer, aan die regterkant en aan die linkerkant.^h En Jerusalem sal weer bewoon word op haar plek,* in Jerusalem.ⁱ

11:17 *Lett. "dof". 12:1 *Of "asem". 12:2 *Of "bak". 12:5 *'n Sjeik was 'n stamhoof. 12:6 *Of "op haar regmatige plek".

HFST. 12

a Job 26:7
Jes 42:5

b Ps 102:25
Jes 45:18

c Sag 14:14

d Sef 3:19

e Sag 14:2, 3

f Jes 41:10
Jl 3:16
Sag 12:8

g Jes 41:15

h Mi 4:13
Sag 9:15

i Sag 2:4

Tweede kol.

a Jer 23:6
Jl 3:16
Sag 2:5
Sag 9:15

b Eks 14:19
Eks 23:20

c Jes 54:17
Hag 2:22

d Joh 19:34, 37
Joh 20:27
Op 1:7

e 2Kn 23:29
2Kr 35:22

f 2Sa 5:13, 14
Lu 3:23, 31

g Eks 6:16

h Eks 6:17
1Kr 23:10

7 "En Jehovah sal die tente van Juda eerste red, sodat die prag* van die huis van Dawid en die prag* van die inwoners van Jerusalem nie groter sal wees as dié van Juda nie. 8 In daardie dag sal Jehovah die inwoners van Jerusalem verdedig.^a In daardie dag sal die een wat struikel* onder hulle, soos Dawid wees, en die huis van Dawid sal soos God wees, soos Jehovah se engel wat hulle lei.^b 9 En in daardie dag sal ek beslis al die nasies vernietig wat teen Jerusalem kom.^c

10 "Ek sal oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem die gees van genade uitstort, en hulle sal smeekgebede doen. En hulle sal kyk na die een wat hulle met 'n spies deurboor het.^d Hulle sal huil oor hom soos hulle oor 'n enigste seun sou huil. En hulle sal bitterlik treur oor hom soos hulle oor 'n eersgebore seun sou treur. 11 In daardie dag sal die gehuil in Jerusalem groot wees, soos die gehuil by Hadad-Rimmon in die Vlakte van Megid'do.^e 12 En die land sal huil, elke familie op sy eie: die familie van die huis van Dawid op sy eie en hulle vrouens op hulle eie; die familie van die huis van Natan^f op sy eie en hulle vrouens op hulle eie; 13 die familie van die huis van Levi^g op sy eie en hulle vrouens op hulle eie; die familie van die Simeiete^h op sy eie en hulle vrouens op hulle eie; 14 en al die families wat oorbly, elke familie op sy eie en hulle vrouens op hulle eie.

13 "In daardie dag sal daar 'n put oopgemaak word vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem om

12:7 *Of "heerlikheid". 12:8 *Of "die swakste".

hulle te reinig van sonde en onreinheid.^a

2 "In daardie dag," sê Jehovah van die leërmagte, "sal ek die name van die afgode uit die land uitwis,^b en daar sal nie meer aan hulle gedink word nie. En ek sal die profete en die gees van onreinheid uit die land verwyder.^c **3** En as 'n man weer sou profeteer, dan sal sy pa en sy ma, wat hom in die wêreld gebring het, vir hom sê: 'Jy sal nie lewe nie, want jy het leuens in die naam van Jehovah verkondig.' En sy pa en sy ma, wat hom in die wêreld gebring het, sal hom met 'n swaard deurboor omdat hy profeteer.^d

4 "In daardie dag sal elke profeet hom skaam vir sy visioen wanneer hy profeteer. Hulle sal nie 'n harige ampskleed^e dra om te bedrieg nie. **5** En hy sal sê: 'Ek is nie 'n profeet nie. Ek is 'n man wat die grond bewerk, want iemand het my gekoop toe ek jonk was.' **6** En as iemand hom vra: 'Wat is hierdie wonde tussen jou skouers?*' sal hy antwoord: 'Ek het hierdie wonde gekry in die huis van my vriende.'"^f

7 "O swaard, word wakker teen my herder,^f teen die man wat my vriend is," sê Jehovah van die leërmagte.

"Slaan die herder,^g en laat die kudde* verstrooi word.^h

En ek sal dié wat onbelangrik is, dissiplineer."

8 "En in die hele land," sê Jehovah,

"sal twee-derdes uitgeroei word en sterf.

13:6 *Lett. "tussen jou hande", d.w.s. op die bors of op die rug. ^aOf "van dié wat my liefhet". 13:7 *Of "skape".

HFST. 13

a Ese 36:25, 29

b Eks 23:13

c De 13:5

d De 13:6-9
De 18:20

e 2Kn 1:8
Mt 3:4

f Ese 34:23
Mi 5:4
Joh 10:11
Heb 13:20

g Jes 53:8
Da 9:26
Han 3:18

h Mt 26:31
Mt 26:55, 56
Mr 14:27, 50
Joh 16:32

Tweede kol.

a Mal 3:2, 3

b Jer 30:22

HFST. 14

c Ese 38:23
Jl 3:2, 14
Op 16:14

d Eks 15:3
2Kr 20:15

e Lu 19:29
Han 1:12

f Am 1:1

g De 33:2
Jl 3:11
Jud 14

En 'n derde sal daarin oorbly.

9 En ek sal die derde deel deur die vuur laat gaan.

Ek sal hulle suiwer soos silwer gesuiwer word en hulle toets soos goud getoets word.^a

Hulle sal my naam aanroep, en ek sal hulle antwoord.

Ek sal sê: 'Hulle is my volk,'^b en hulle sal sê: 'Jehovah is ons God.'"

14 "Die dag kom, 'n dag wat aan Jehovah behoort, wanneer jou* besittings wat as oorlogsbuit geneem is, in jou verdeel sal word. **2** Ek sal al die nasies teen Jerusalem bymekaar laat kom vir die oorlog. Die stad sal ingeneem en die huise gestroop word, en die vrouens sal verkrag word. En die helfte van die stad sal in ballingskap gaan, maar dié wat van die volk oorbly, sal nie uit die stad verwyder word nie.

3 "Jehovah sal teen daardie nasies gaan oorlog voer^c soos wanneer hy veg op die dag van oorlog.^d **4** In daardie dag sal sy voete op die Olyfberg^e staan, wat oos van Jerusalem is. Die Olyfberg sal middeldeur skeur, van die ooste* na die weste,^f en 'n baie groot vallei sal ontstaan. Die helfte van die berg sal na die noorde skuif, en die ander helfte na die suide. **5** Julie sal na die vallei van my berge vlug, want die vallei van die berge sal tot by Asel strek. Julie sal moet vlug, soos julle gevlug het weens die aardbewing in die dae van koning Ussi'a van Juda.^f En Jehovah my God sal kom en al die heiliges sal saam met hom wees.^g

14:1 *D.w.s. die stad waarna daar in vs. 2 verwys word. 14:4 *Of "die sonsopkoms". ^aLett. "die see".

6 "In daardie dag sal daar geen kosbare lig wees nie^a – dinge sal gestol* wees. 7 En daardie dag sal bekend word as Jehovah se dag.^b Dit sal nie dag of nag wees nie, en teen die aand sal daar lig wees. 8 In daardie dag sal lewendende waters^c uit Jerusalem vloei:^d die helfte daarvan na die oostelike see^e en die ander helfte na die westelike see.^f Dit sal in die somer en in die winter gebeur. 9 En Jehovah sal Koning oor die hele aarde wees.^g In daardie dag sal Jehovah een wees,^h en sy naam een.ⁱ

10 "Die hele land sal soos die A'rabai word, van Geba^k af tot by Rimmon,^l suid van Jerusalem. Jerusalem sal verhef word en op haar plek bewoon word,^m van die Benjamin-poortⁿ af tot by die plek van die Eerste Poort en tot by die Hoekpoort, en van die Hana'nel-toring^o af tot by die wynperse van die koning. 11 En mense sal in haar woon, en daar sal nooit weer 'n vloek van vernietiging wees nie.^p Die inwoners van Jerusalem sal in veiligheid woon.^q

12 "En dit is die plaag waarmee Jehovah al die volke sal tref wat teen Jerusalem oorlog voer:^r Hulle vlees sal verrot terwyl hulle op hulle voete staan, hulle oë sal in hulle oogholtes verrot, en hulle tong sal in hulle mond verrot.

13 "In daardie dag sal Jehovah groot verrarring onder hulle veroorsaak. En die een sal die hand van die ander vasgryp en hulle sal mekaar aanval.^s 14 Juda sal ook betrokke wees by die oorlog in Jerusalem. En die rykdom van

14:6 *Of "bewegingloos", asof dit styf is weens koue. 14:8 *Die Dooie See. ^aDie Middellandse See.

HFST. 14

a Jes 13:9, 10
Am 5:18b Jl 2:31
1Te 5:2
2Pe 3:10c Op 21:6
Op 22:17d Jer 17:13
Ese 47:1
Jl 3:18
Op 22:1

e De 3:17

f Jos 1:4

g Ps 97:1
Op 19:6

h De 6:4

i Jes 42:8
Jes 44:6

j De 1:7

k 1Kn 15:22

l 1Kr 4:24, 32

m Jer 30:18

n Jer 37:13

o Ne 3:1
Jer 31:38p Jes 60:18
Jer 31:40q Jer 23:6
Jer 33:16r 2Kn 19:34, 35
Jl 3:2s Rlg 7:22
Ese 38:21

Tweede kol.

a 2Kr 14:13
2Kr 20:25
Sag 2:8, 9

b Jes 66:23

c Ps 86:9

d Le 23:34
Ne 8:14, 15

e Jes 60:12

f Eks 28:36
Eks 39:30

g 1Sa 2:13, 14

h Eks 25:29
Nu 4:7

i Ese 44:9

al die omliggende nasies sal bymekaargemaak word: groot hoeveelhede goud en silwer en klere.^a

15 "So 'n plaag sal ook die perde tref, sowel as die muile, die kamele, die donkies en al die vee wat in daardie kampe is.

16 "Almal wat oorbly van al die nasies wat teen Jerusalem kom, sal elke jaar^b gaan om voor die Koning, Jehovah van die leërmagte,^c neer te buig* en om die Huttefees^d te vier.^d

17 Maar as enigiemand uit die families van die aarde nie na Jerusalem gaan om voor die Koning, Jehovah van die leërmagte, neer te buig nie, sal hulle geen reën kry nie.^e 18 En as die mense van Egipte nie kom en die stad binnegaan nie, sal hulle geen reën kry nie. Die plaag wat Jehovah oor die nasies bring wat nie kom om die Huttefees te vier nie, sal oor hulle kom. 19 Dit sal die straf wees vir die sonde van Egipte en die sonde van al die nasies wat nie kom om die Huttefees te vier nie.

20 "In daardie dag sal die woorde "Heiligheid behoort aan Jehovah!"^f op die klokkies van die perde geskryf wees. En die kookpotte^g in die huis van Jehovah sal soos die bakke^h voor die altaar wees. 21 En elke kookpot in Jerusalem en in Juda sal heilig wees en aan Jehovah van die leërmagte behoort. En almal wat offerandes bring, sal inkom en van die kookpotte gebruik om daarin te kook. In daardie dag sal daar nie meer 'n Kanaäniet* in die huis van Jehovah van die leërmagte wees nie.ⁱ

14:16 *Of "om die Koning . . . te aanbied". ^aOf "Fees van Tydelike Skuilings". 14:21 *Of moontlik "handelbaar".

MALEAGI

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Jehovah se liefde vir sy volk (1-5)
Priesters bring gebrekklike offers (6-14)
God se naam sal groot wees onder nasies (11)</p> <p>2 Priesters leer volk nie (1-9)
Priesters se lippe moet kennis bewaar (7)
Volk skuldig aan onregverdige egskeiding (10-17)
"Ek haat egskeiding, 'sê Jehovah" (16)</p> <p>3 Ware Heer kom om sy tempel te reinig (1-5)
Boodskapper van verbond (1)</p> | <p>Aansporing om na Jehovah terug te keer (6-12)
Jehovah verander nie (6)
"Keer terug na my, en ek sal na julle terugkeer" (7)
'Bring hele tiende, en Jehovah sal seëninge uitstort' (10)
Regverdige en goddelose (13-18)
Gedenkboek voor God geskryf (16)
Verskil tussen regverdige en goddelose (18)</p> <p>4 Elia kom voor Jehovah se dag (1-6)
"Son van regverdigheid sal skyn" (2)</p> |
|--|---|

1 'n Belangrike boodskap. Dít is die woord van Jehovah aan Israel deur middel van Malea'gi.*

2 "Ek het liefde aan julle betoon,"^a sê Jehovah.

Maar julle vra: "Hoe het u aan ons liefde betoon?"

"Was Esau nie Jakob se broer nie?"^b sê Jehovah. "Maar ek was lief vir Jakob, **3** en ek het Esau gehaat,^c en ek het sy berge verlate^d agtergelaat en sy erdeel vir die jakkalse van die wildernis gelos."^e

4 "Al sê Edom: 'Ons is verpletter, maar ons sal terugkeer en die verwoeste plekke herbou,' sê Jehovah van die leërmagte: 'Hulle sal bou, maar ek sal afbreek, en hulle sal "die gebied van goddeloosheid" genoem word, en "die volk wat vir ewig deur Jehovah veroordeel is".^f **5** Julle eie oë sal dit sien, en julle sal sê: "Mag Jeho-

1:1 *Betekens "my boodskapper".

HFST. 1

a De 10:15

b Ge 25:25, 26

c Ro 9:13

d Jer 49:20
Jl 3:19

e Jes 34:10, 13

f Jes 34:5
Ob 18

Tweede kol.

a Eks 20:12

b Eks 4:22

c Jes 1:2

d Ese 22:26

e Ese 41:21, 22
1Kor 10:21

f Le 22:20, 22
De 15:21

vah verheerlik word oor die gebied van Israel.""

6 "'n Seun eer sy vader,^a en 'n kneg sy meester. As ek dan 'n vader is,^b waar is die eer wat ek verdien?^c En as ek 'n meester is, waar is die vrees* wat ek verdien?' sê Jehovah van die leërmagte vir julle, o priesters wat geen respek vir my naam het nie.^d

"Maar julle vra: "Hoe het ons geen respek vir u naam getoon nie?"

7 "'Deur besoedelde voedsel* op my altaar aan te bied.'

"En julle vra: "Hoe het ons u onrein gemaak?"

"Deur te sê: "Die tafel van Jehovah^e is iets afstootliks."

8 En wanneer julle 'n blinde dier as 'n offerande aanbied, sê julle: "Dit is niks slegs nie." En wanneer julle 'n kreupel of 'n siek dier aanbied: "Dit is niks slegs nie.""

1:6 *Of "respek". 1:7 *Lett. "brood".

“Probeer dit asseblief vir julle goewerneur aanbied. Sal hy bly wees daarvoor of julle vriendelik ontvang?” sê Jehovah van die leërmagte.

9 “Smeek God dan nou, asseblief,* sodat ons sy goedkeuring kan hê. Sal hy enigeen van julle goedkeur as julle sulke offerandes aanbied?” sê Jehovah van die leërmagte.

10 “En wie van julle is bereid om die deure te sluit?*** Want julle wil nie eers my altaar sonder betaling aansteek nie.^b Ek keur julle nie goed nie,” sê Jehovah van die leërmagte, “en ek is nie tevrede met enige offergawe wat uit julle hand kom nie.”^c

11 “Want van waar die son opkom tot waar dit ondergaan,* sal my naam groot wees onder die nasies.^d Op elke plek sal offerandes as 'n rein gawe tot eer van my naam gebring word, en die rook daarvan sal opgaan, want my naam sal groot wees onder die nasies,”^e sê Jehovah van die leërmagte.

12 “Maar julle onheiligh dit*^{af} deur te sê: ‘Die tafel van Jehovah is besoedel, en die vrugte, dit wil sê die voedsel, is iets afstootliks.’^g **13** Julle sê ook: ‘Kyk! Dit is soveel moeite!’ en julle trek julle neus op daarvoor,” sê Jehovah van die leërmagte. “En julle bring gesteelde, kreupel en siek diere. Ja, julle bring sulke dinge as 'n gawe! Moet ek dit uit julle hand aanvaar?”^h sê Jehovah.

14 “Vervloek is die bedrieglike persoon wat 'n gesonde manlike dier in sy kudde het, maar wat 'n gelofte maak en 'n gebrekklike dier aan Jehovah offer.

1:9 *Of “Versag dan nou asseblief die aangesig van God”. **1:10** *Blykbaar die taak om die deure van die tempel te sluit. **1:11** *Of “van oos na wes”. **1:12** *Of moontlik “my”.

HFST. 1

a 2Kr 23:4

b Jer 6:13

Mi 3:11

c Jes 1:11

Jer 6:20

d Ps 113:3

Jes 45:6

Jes 59:19

e Ps 22:27

Sef 3:9

Mt 28:19

Op 15:4

f Ese 22:26

g Mal 1:7

h Le 22:20, 22

De 15:21

De 17:1

Tweede kol.

a Ps 47:2

Jer 10:10

b Op 15:4

HFST. 2

c Mal 1:6

d Le 26:14-17

De 28:15

e Hag 1:11

f Jl 1:17

g Eks 40:12, 15

Nu 3:6

Nu 18:23

Ese 44:15, 16

h 2Kr 17:8, 9

i Eks 32:26

j De 24:8

2Kr 15:3

Ne 8:7, 8

Ese 44:23, 24

Want ek is 'n groot Koning,”^a sê Jehovah van die leërmagte, “en my naam sal ontsagwekkend onder die nasies wees.”^b

2 “En hierdie gebod is nou vir julle, o priesters.^c **2** As julle weier om te luister en as julle nie die verheerliking van my naam ernstig opneem nie,”^{**} sê Jehovah van die leërmagte, “sal ek die vloek oor julle stuur,^d en ek sal julle seëninge in vervloeking verander.^e Ja, ek het die seëninge in vervloeking verander omdat julle dit nie ernstig opneem nie.”^{**}

3 “Kyk! Ek sal julle gesaaide saad as gevolg van julle vernietig,*^{af} en ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste, en julle sal daarheen[#] weggedra word. **4** Dan sal julle moet weet dat ek hierdie gebod aan julle gegee het, sodat my verbond met Levi kan voortbestaan,”^g sê Jehovah van die leërmagte.

5 “My verbond met hom was 'n verbond van lewe en van vrede, wat ek aan hom gegee het, saam met vrees.* Hy het my gevrees, ja, hy het respek[#] gehad vir my naam.

6 Die wet* van waarheid was in sy mond,^h en geen onregverdigheid is op sy lippe gevind nie. Hy het in vrede en getrouheid met my gewandel,ⁱ en hy het baie laat wegdraai van oortreding. **7** Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en mense moet by hom oor die wet* leer,^j want hy is die boodskapper van Jehovah van die leërmagte.

2:2 *Of “ter harte neem nie”. **2:3** *Lett. “bestraf”. [#]D.w.s. na die plek waarheen die mis van offerandes geneem is. **2:5** *Of “respek; ontsag”. ^{af}Of “ontslag”. **2:6, 7** *Of “onderrigting”.

8 "Maar julle het nie op die weg gebly nie. Julle het baie in die wet* laat struikel.^a Julle het die verbond van Levi vernietig,"^b sê Jehovah van die leërmagte. 9 "En ek sal sorg dat die hele volk julle verag en op julle neersien omdat julle nie my weë gevolg het nie, maar julle het kant gekies toe julle die wet toegepas het."^c

10 "Het ons almal nie een vader nie?"^d Is ons nie deur een God geskep nie? Hoekom tree ons dan bedrieglik op teenoor mekaar^e en onheilig ons die verbond van ons voorvaders? 11 Juda het bedrieglik opgetree, en iets afskuweliks is in Israel en in Jerusalem gedoen, want Juda het die heiligheid* van Jehovah,^f wat Hy liefhet, onheilig, en hy het die dogter van 'n vreemde god as 'n bruid geneem.^g 12 Jehovah sal enigiemand wat dit doen, wie dit ook al is,* uit die tente van Jakob uitroei, al bied hy 'n offergawe aan vir Jehovah van die leërmagte."^h

13 "En daar is nog iets* wat julle doen wat veroorsaak dat die altaar van Jehovah met tranen en met 'n gehuil en 'n gesug bedek word, sodat hy nie meer aandag skenk aan julle offergawe of enigets goedkeur wat uit julle hand kom nie.ⁱ 14 En julle vra: 'Hoekom?' Dit is omdat Jehovah as 'n getuie opgetree het tussen jou en die vrou van jou jeug, teenoor wie jy bedrieglik opgetree het, hoewel sy jou metgesel en jou vrou is met wie jy 'n verbond gemaak het."^j 15 Maar daar was een wat dit

2:8 *Of moontlik "deur julle onderrigting". 2:11 *Of moontlik "die heiligdom". 2:12 *Lett. "een wat wakker is en een wat antwoord". 2:13 *Lett. "'n tweede ding". 2:14 *Of "en jou wet-tige vrou is".

HFST. 2

a Lu 11:52

b Ne 13:29

c Le 19:15
De 1:17
De 16:19d Mal 1:6
1Kor 8:6

e Ne 5:8

f Le 20:26

g De 7:1, 3
Rig 3:5, 6
1Kn 11:1, 2
Ne 13:23

h 1Sa 15:22

i Spr 21:27

j Spr 5:18-20
Mt 19:4-6

Tweede kol.

a Ge 2:24
Mt 5:32
Mt 19:8, 9
Mr 10:5-9

b Mal 2:10

c Jes 1:14, 15

d Ese 18:29

HFST. 3

e Mt 3:1-3
Mt 11:7, 10
Mr 1:2-4
Lu 1:76
Joh 1:6, 23
Joh 3:28

f Ps 11:4

g Jes 1:25
Jer 2:22h Ps 66:10
Spr 25:4
Sag 13:9

nie gedoen het nie, want hy het gehad wat oorgebly het van die gees. En wat het hy gesoek? Die nageslag* van God. Onderzoek dus julle harte en kry die regte gesindheid, en moenie bedrieglik optree teenoor die vrou van jou jeug nie. 16 Want ek* haat egskeding,"^a sê Jehovah, die God van Israel, "en die een wat geweld pleeg,"[#] sê Jehovah van die leërmagte. "En let op julle gesindheid, en moenie bedrieglik optree nie."^b

17 "Julle het Jehovah moeg gemaak met julle woorde.^c Maar julle vra: 'Hoe het ons hom moeg gemaak?' Deur te sê: 'Elkeen wat slegte dinge doen, is goed in Jehovah se oë, en hy keur so iemand goed,'^d of deur te sê: 'Waar is die God van geregtigheid?'"

3 "Kyk! Ek stuur my boodskapper, en hy moet 'n weg vir my voorberei.^e En die ware Heer, na wie julle soek, sal skielik na Sy tempel kom,^f en die boodskapper van die verbond sal kom, na wie julle vreugdevol uitsien. Kyk! Hy sal beslis kom," sê Jehovah van die leërmagte.

2 "Maar wie sal die dag van sy koms kan verduur, en wie sal kan staan wanneer hy verskyn? Want hy sal wees soos die vuur van iemand wat metaal suiwer* en soos die seep van iemand wat klere was.^g 3 En hy sal sit as iemand wat silwer suiwer en reinig,^{*h} en hy sal die seuns van Levi reinig. Hy sal hulle suiwer* soos goud en soos silwer, en hulle sal beslis vir Jehovah mense word wat 'n offergawe in regverdigheid aanbied. 4 En die offergawe van Juda

2:15 *Lett. "saad". 2:16 *Lett. "hy". #Lett. "wat sy kleed met geweld bedek". 3:2 *Of "'n louteraar". 3:3 *Of "'n louteraar van silwer". #Of "louter".

en van Jerusalem sal Jehovah se goedkeuring hê,* soos in die verlede.^a

5 "Ek sal nader kom na julle toe vir die oordeel, en ek sal gou wees om te getuig teen die townaars,^b teen die egbrekers, teen dié wat 'n valse eed aflê,^c teen dié wat die gehuurde werker bedrieg,^d teen dié wat die weduwee en die weeskind* onderdruk^e en teen dié wat weier om die uitlander te help.^{#f} Hulle het my nie gevrees nie," sê Jehovah van die leërmagte.

6 "Want ek is Jehovah, en ek verander nie.*^g Julle is kinders van Jakob, en julle het nog nie aan julle einde gekom nie. 7 Van die dae van julle voorvaders af het julle my wetsvoorskrifte verlaat en dit nie gehoorsaam nie.^h Keer terug na my, en ek sal na julle terugkeer,"ⁱ sê Jehovah van die leërmagte.

Maar julle vra: "Hoe is ons veronderstel om terug te keer?"

8 "Sal 'n blote mens God beroof? Maar julle beroof my."

En julle vra: "Hoe het ons u beroof?"

"In die tiendes en in die bydraes. 9 Julle is beslis vervloek,* want julle beroof my - ja, die hele nasie doen dit. 10 Bring die hele tiende in die stookkamer in,^j sodat daar voedsel in my huis kan wees,^k en toets my asseblief in hierdie verband," sê Jehovah van die leërmagte, "om te sien of ek nie vir julle die sluis van die hemel sal oopmaak^l en 'n seën op julle sal uitstort* totdat julle niks kortkom nie."^m

3:4 *Of "sal vir Jehovah aangenaam wees". 3:5 *Lett. "vaderlose seun". #Of "wat die uitlander sy regte ontsê". 3:6 *Of "ek het nie verander nie". 3:9 *Of moontlik "Met 'n vloek vervloek julle my". 3:10 *Lett. "leegmaak".

- HFST. 3
- a 2Kr 7:1
- b De 18:10, 12
- c Eks 20:7
- d Spr 14:31
Jak 5:4
- e De 24:17
Jes 1:17
Jak 1:27
- f Eks 23:9
Sag 7:10
- g Jes 43:10
Jes 46:4
Jak 1:17
- h De 9:7
Han 7:51
- i Jer 3:12
Sag 1:3
Jak 4:8
- j Le 27:30
De 14:28
- k 2Kr 31:11
Ne 12:44
Ne 13:10
- l De 28:12
- m Le 26:10
2Kr 31:10
Spr 3:9, 10

Tweede kol.

- a De 11:14
Sag 8:12
- b Jes 61:9
- c Mal 1:6
- d Job 21:14, 15
Ps 73:13, 14
Jes 58:3
Sef 1:12
- e Jer 12:1
- f Ps 56:8
Ps 69:28
- g Jes 26:8
- h Jer 31:33
- i Jes 62:3
1Pe 2:9
- j Ps 103:13

11 "En ek sal die een bestraf wat verslind,* en hy sal nie die opbrengs van julle land verwoes nie, en julle wingerde sal ook nie sonder vrug wees nie,"^a sê Jehovah van die leërmagte.

12 "Al die nasies sal julle as gelukkige mense moet beskou,^b want julle land sal 'n aangename land word," sê Jehovah van die leërmagte.

13 "Julle het harde woorde teen my gespreek," sê Jehovah.

En julle vra: "Hoe het ons onder mekaar teen u gepraat?"^c

14 "Julle sê: 'Dit help niks om God te dien nie.'^d Hoe het dit ons bevoordeel deurdat ons ons verpligtinge teenoor hom nacom en treurend voor Jehovah van die leërmagte rondloop?

15 Nou dink ons dat vermetelete* mense gelukkig is en dat mense wat slegte dinge doen, suksesvol is.^e Hulle waag dit om God te toets, en hulle kom daarmee weg."

16 Toe het die mense wat Jehovah vrees, met mekaar gepraat, elkeen met sy metgesel, en Jehovah het aandag bly skenk en bly luister. En 'n gedenkboek is voor hom geskryf^f vir dié wat oor sy naam nadink.*^g

17 "En hulle sal myne wees,"^h sê Jehovah van die leërmagte, "op die dag dat ek hulle my spesiale eiendom* maak.ⁱ Ek sal medelye[#] aan hulle betoon, soos 'n man medelye[#] betoon aan sy seun wat hom dien.^j 18 En julle sal weer die verskil sien tussen 'n regverdiige persoon en 'n goddelose per-

3:11 *Verwys blykbaar na insekplae. 3:15 *Iemand is vermetel as hy iets doen wat hy nie die reg of gesag het om te doen nie. 3:16 *Of "peins". Of moontlik "dié vir wie sy naam kosbaar is". 3:17 *Of "'n kosbare besitting". #Sien Woordelys.

soon,^a tussen iemand wat God dien en iemand wat hom nie dien nie.”

4 “Want kyk, die dag kom en dit brand soos ’n oond.^b Dan sal al die vermeteles* en almal wat slegte dinge doen, soos strooi word. Die dag wat kom, sal hulle beslis verslind,” sê Jehovah van die leërmagte, “en hulle met wortel en tak uitroei. **2** Maar die son van regverdigheid sal skyn op julle wat my naam eer,* met genesing in sy strale,^c en julle sal vreugdevol rondspring soos vetgemaakte kalwers.”

4:1 *Sien Mal 3:15, vtn. 4:2 *Lett. “vrees”. ^aLett. “vlerke”.

HFST. 3

a Ps 58:10, 11

HFST. 4

b Sef 2:2
2Pe 3:7

Tweede kol.

a De 4:5

b Mt 11:13, 14
Mr 9:11, 12

c Jl 2:31
Han 2:20
2Pe 3:10

d Lu 1:17

3 “En julle sal die goddeloses onder julle voete vertrap, want hulle sal soos stof onder julle voete wees op die dag wanneer ek optree,” sê Jehovah van die leërmagte.

4 “Dink aan die Wet van my kneg Moses, die wetsvoorskrifte en oordele wat ek by Horeb aan die hele Israel gegee het om te gehoorsaam.^a

5 “Kyk! Ek stuur vir julle die profeet Eli’^a voordat die groot en ontsagwekkende dag van Jehovah kom.^c **6** En hy sal die harte van pa’s terugbring na kinders,^d en die harte van kinders na pa’s, sodat ek nie kom en die aarde tref en dit vernietig nie.”

(Einde van die vertaling van die Hebreeus-Aramese Geskrifte,
gevolg deur dié van die Christelike Griekse Geskrifte)

VOLGENS
MATTEUS

O O R S I G

- 1 Geslagslyn van Jesus Christus (1-17)
Jesus se geboorte (18-25)
- 2 Besoek van sterrevoorspellers (1-12)
Vlug na Egipte (13-15)
Herodes maak seuntjies dood (16-18)
Terug na Nasaret (19-23)
- 3 Johannes die Doper preek (1-12)
Jesus se doop (13-17)
- 4 Die Duiwel versoek Jesus (1-11)
Jesus begin in Galilea preek (12-17)
Eerste dissipels word geroep (18-22)
Jesus preek, onderrig en genees (23-25)
- 5 BERGPREDIKASIE (1-48)
Jesus begin mense op die berg leer (1, 2)
Nege faktore vir geluk (3-12)
Sout en lig (13-16)
Jesus sal die Wet vervul (17-20)
Raad oor woede (21-26),
egbreuk (27-30), egskeding (31, 32),
ede (33-37), wraak (38-42),
liefde vir vyande (43-48)
- 6 BERGPREDIKASIE (1-34)
Moenie goeie dade doen om gesien te word nie (1-4)
Hoe om te bid (5-15)
Modelgebed (9-13)
Vas (16-18)
Skatte op aarde en in hemel (19-24)
Hou op om bekommerd te wees (25-34)
Hou aan om eers die Koninkryk te soek (33)
- 7 BERGPREDIKASIE (1-27)
Hou op om te oordeel (1-6)
Hou aan vra, soek, klop (7-11)
Goue Reël (12)
Nou poort (13, 14)
Aan hulle vrugte geken (15-23)
Huis op rots, huis op sand (24-27)
Skares verstom oor Jesus se onderrigting (28, 29)
- 8 'n Melaatse word genees (1-4)
Geloof van 'n militêre offisier (5-13)
Jesus genees baie in Kapernaum (14-17)
Hoe om Jesus te volg (18-22)
Jesus laat 'n storm bedaar (23-27)
Jesus stuur demone in varke in (28-34)
- 9 Jesus genees 'n verlamde man (1-8)
Jesus roep Matteus (9-13)
Vraag oor vas (14-17)
Jaïrus se dogter; 'n vrou raak aan Jesus se bo-kleed (18-26)
Jesus genees blindes en stommes (27-34)
Oes is groot maar werkers min (35-38)
- 10 Die 12 apostels (1-4)
Instruksies vir die bediening (5-15)
Dissipels sal vervolgt word (16-25)
Vrees God, nie mense nie (26-31)
Nie vrede nie, maar 'n swaard (32-39)
Ontvang Jesus se dissipels (40-42)
- 11 Johannes die Doper geprys (1-15)
Geslag word veroordeel (16-24)
"Aan jong kinders geopenbaar" (25-27)
Jesus se juk gee nuwe krag (28-30)
- 12 Jesus, "Here van die Sabbat" (1-8)
Man met misvormde hand word genees (9-14)
God se geliefde kneg (15-21)
Demone deur heilige gees uitgedryf (22-30)
Onvergeeflike sonde (31, 32)
Boom aan sy vrugte geken (33-37)
Teken van Jona (38-42)
Wanneer 'n onrein gees terugkeer (43-45)
Jesus se ma en broers (46-50)
- 13 ILLUSTRASIES OOR DIE KONINKRYK (1-52)
Die saaiër (1-9)
Hoekom Jesus illustrasies gebruik het (10-17)
Illustrasie van saaiër verduidelik (18-23)

- Koring en onkruid (24-30)
 Mosterdsaadjie en suurdeeg (31-33)
 Gebruik van illustrasies vervul profesie (34, 35)
 Illustrasie van koring en onkruid word verduidelik (36-43)
 Skat en mooi pêrel (44-46)
 Die sleepnet (47-50)
 Nuwe en ou skatte (51, 52)
 Jesus in tuisgebied verwerp (53-58)
- 14 Johannes die Doper se kop afgekap (1-12)
 Jesus voed 5 000 (13-21)
 Jesus loop op water (22-33)
 Genesings in Gennesaret (34-36)
- 15 Tradisies van mense (1-9)
 Onreinheid kom uit die hart (10-20)
 Groot geloof van 'n Fenisiese vrou (21-28)
 Jesus genees baie siektes (29-31)
 Jesus voed 4 000 (32-39)
- 16 'n Teken word gevra (1-4)
 Suurdeeg van Fariseërs en Sadduseërs (5-12)
 Die sleutels van Koninkryk (13-20)
 Gemeente op rots gebou (18)
 Jesus se dood voorspel (21-23)
 Ware dissipelskap (24-28)
- 17 Jesus se voorkoms verander (1-13)
 Geloof soos 'n mosterdsaadjie (14-21)
 Jesus se dood weer voorspel (22, 23)
 Belasting betaal met muntstuk uit vis se bek (24-27)
- 18 Die grootste in die Koninkryk (1-6)
 Struikelblokke (7-11)
 Illustrasie van verlore skaap (12-14)
 Hoe om 'n broer te wen (15-20)
 Illustrasie van slaaf wat nie wou vergewe nie (21-35)
- 19 Huwelik en egskeiding (1-9)
 Gawe van ongetroude lewe (10-12)
 Jesus seën die kinders (13-15)
 Ryk jong man se vraag (16-24)
 Opofferings vir die Koninkryk (25-30)
- 20 Gelyke betaling vir werkers in die wingerd (1-16)
 Jesus se dood weer voorspel (17-19)
- Versoek om posisies in Koninkryk (20-28)
 Jesus 'n losprys vir baie (28)
 Twee blinde mans word genees (29-34)
- 21 Jesus kom Jerusalem triomfantlik binne (1-11)
 Jesus reinig die tempel (12-17)
 Vyeboom word vervloek (18-22)
 Jesus se gesag bevraagteken (23-27)
 Illustrasie van twee seuns (28-32)
 Illustrasie van wrede landbouers (33-46)
 Belangrikste hoeksteen verwerp (42)
- 22 Illustrasie van huweliksfees (1-14)
 God en die keiser (15-22)
 Vraag oor opstanding (23-33)
 Twee grootste gebooe (34-40)
 Is die Christus die seun van Dawid? (41-46)
- 23 Moenie skrifgeleerdes en Fariseërs navolg nie (1-12)
 Skrifgeleerdes en Fariseërs word veroordeel (13-36)
 Jesus treur oor Jerusalem (37-39)
- 24 TEKEN VAN CHRISTUS SE TEENWOORDIGHEID (1-51)
 Oorloë, voedseltekorte, aardbewings (7)
 Goeie nuus sal verkondig word (14)
 Groot verdrukking (21, 22)
 Teken van Seun van die mens (30)
 Die vyeboom (32-34)
 Soos Noag se dag (37-39)
 Hou aan waak (42-44)
 Getroue slaaf en slegte slaaf (45-51)
- 25 TEKEN VAN CHRISTUS SE TEENWOORDIGHEID (1-46)
 Illustrasie van tien maagde (1-13)
 Illustrasie van talente (14-30)
 Skape en bokke (31-46)
- 26 Priesters beplan om Jesus dood te maak (1-5)
 Lekkerruik-olie op Jesus uitgegooi (6-13)
 Die laaste Pasga; Jesus word verrai (14-25)
 Here se Aandmaal ingestel (26-30)

- Jesus voorspel dat Petrus hom sal verloën (31-35)
- Jesus bid in Getsemane (36-46)
- Jesus in hegtenis geneem (47-56)
- Verhoor voor die Sanhedrin (57-68)
- Petrus verloën Jesus (69-75)
- 27 Jesus aan Pilatus oorgegee (1, 2)
- Judas hang homself op (3-10)
- Jesus voor Pilatus (11-26)

- In die openbaar bespot (27-31)
- Aan 'n paal gehang by Golgota (32-44)
- Jesus se dood (45-56)
- Jesus word begrawe (57-61)
- Graf goed bewaak (62-66)
- 28 Jesus word opgewek (1-10)
- Soldate omgekoop om te lieg (11-15)
- Opdrag om dissipels te maak (16-20)

1 Die boek van die geskiedenis* van Jesus Christus,# die seun van Dawid,^a die seun van Abraham:^b

- 2 Abraham het die vader geword van Isak.^c
Isak het die vader geword van Jakob.^d
Jakob het die vader geword van Juda^e en sy broers.
- 3 Juda het die vader geword van Peres en Serag,^f en hulle ma was Tamar.
Peres het die vader geword van Hesron.^g
Hesron het die vader geword van Ram.^h
- 4 Ram het die vader geword van Ammina'dab.
Ammina'dab het die vader geword van Nagson.ⁱ
Nagson het die vader geword van Salmon.
- 5 Salmon het die vader geword van Boas, en sy ma was Ragab.^j
Boas het die vader geword van Obed, en sy ma was Rut.^k
Obed het die vader geword van Isai.^l
- 6 Isai het die vader geword van Dawid,^m die koning.

1:1 *Of "geslagslyn". #Of "die Messias; die Gesalfde".

HFST. 1

- a 1Kr 17:11
- Mt 9:27
- Lu 1:32, 33
- b Ge 22:18
- c Ge 21:3
- d Ge 25:26
- 1Kr 1:34
- e Ge 29:35
- f Ge 38:29, 30
- g Rut 4:18-22
- h 1Kr 2:9
- i 1Kr 2:10, 11
- j Jos 2:1
- k Rut 4:13
- l 1Kr 2:12
- m 1Kr 2:13, 15

Tweede kol.

- a 2Sa 12:24
- 1Kr 3:5
- b 1Kn 11:43
- c 1Kr 3:10-19
- 2Kr 14:1
- d 1Kn 15:24
- e 2Kr 21:1
- f 2Kn 15:32
- g 2Kn 15:38
- h 2Kn 18:1
- i 2Kn 20:21
- j 2Kr 33:20
- k 2Kn 21:24
- l 2Kn 23:34
- m 1Kr 3:15, 16
- n 2Kn 24:12, 15
- 2Kr 36:9, 10

Dawid het die vader geword van Salomo,^a en sy ma was die vrou van Uri'a.

- 7 Salomo het die vader geword van Reha'beam.^b
Reha'beam het die vader geword van Abi'a.
Abi'a het die vader geword van Asa.^c
- 8 Asa het die vader geword van Jo'safat.^d
Jo'safat het die vader geword van Joram.^e
Joram het die vader geword van Ussi'a.
- 9 Ussi'a het die vader geword van Jotam.^f
Jotam het die vader geword van Agas.^g
Agas het die vader geword van Hiski'a.^h
- 10 Hiski'a het die vader geword van Manas'se.ⁱ
Manas'se het die vader geword van Amon.^j
Amon het die vader geword van Josi'a.^k
- 11 Josi'a' het die vader geword van Jegon'ja^m en sy broers in die tyd van die wegvoering na Babilon.ⁿ
- 12 Nâ die wegvoering na Babilon het Jegon'ja die vader geword van Seal'tiël.

Seal'tiël het die vader
geword van Serubba'bel.^a

13 Serubba'bel het die vader
geword van Abi'ud.

Abi'ud het die vader
geword van Elja'kim.

Elja'kim het die vader
geword van Asor.

14 Asor het die vader
geword van Sadok.

Sadok het die vader
geword van Agim.

Agim het die vader
geword van Eli'ud.

15 Eli'ud het die vader
geword van Elea'sar.

Elea'sar het die vader
geword van Mattan.

Mattan het die vader
geword van Jakob.

16 Jakob het die vader geword
van Josef, die man van
Maria, en Maria was die
ma van Jesus,^b wat Chris-
tus genoem word.^c

17 Al die geslagte van Abra-
ham tot Dawid was dus **14** ge-
slagte. Van Dawid tot die weg-
voering na Babilon, **14** geslagte.
Van die wegvoering na Babilon
tot die Christus, **14** geslagte.

18 Hier volg die verslag van
die geboorte van Jesus Chris-
tus. Sy ma, Maria, was ver-
loof aan Josef. Nog voordat
hulle getrou het,^{*} het sy swan-
ger geword deur heilige gees.^{#d}

19 Maar haar man, Josef, was
regverdig en wou nie skan-
de oor haar bring nie. Daarom
het hy beplan om in die geheim
van haar te skei.^e **20** Maar na-
dat Josef oor hierdie dinge
gedink het, kyk! toe het Jeho-
vah* se engel in 'n droom

1:18 *Lett. "verenig is". #Of "werken-
de krag". **1:20** *Die eerste van 237
plekke in die Christelike Griekse Ge-
skrifte waar God se naam, Jehovah, in
die hoofteks van hierdie vertaling ver-
skyn. Sien Aanh. A5.

HFST. 1

a Esr 3:2
Ne 12:1

b Mt 13:55
Mr 6:3

c Lu 3:23-38

d Lu 1:35

e De 24:1

Tweede kol.

a Lu 1:35

b Mt 1:25
Lu 1:31

c Lu 2:30
Joh 1:29
Han 4:12
Han 5:31
Ef 1:7
Heb 7:25
1Pe 2:24

d Jes 7:14

e Jes 8:8, 10

f Lu 2:7

g Lu 2:21

HFST. 2

h Lu 1:5

i Mi 5:2
Lu 2:4

j Mt 27:37

aan hom verskyn en gesê: "Jo-
sef, seun van Dawid, moenie
bang wees om jou vrou, Maria,
huis toe te neem nie, want sy
het swanger geword deur heil-
ige gees.*^a **21** Sy sal geboor-
te gee aan 'n seun, en jy moet
hom Jesus*^b noem, want hy sal
sy volk van hulle sondes red."^c
22 Al hierdie dinge het in werk-
likheid gebeur sodat die woorde
wat Jehovah* deur middel van
sy profeet gesê het, vervul sou
word: **23** "Kyk! Die maagd sal
swanger word en geboorte gee
aan 'n seun, en hulle sal hom
Imma'nuel noem."^d Dit beteken:
"God is met ons."^e

24 Toe het Josef wakker ge-
word en gedoen wat die engel
van Jehovah* vir hom gesê het
om te doen, en hy het sy vrou
huis toe geneem. **25** Maar hy
het nie seksuele omgang met
haar gehad tot ná die geboorte
van haar seun nie,^f en hy het die
seun Jesus genoem.^g

2 Nadat Jesus in koning He-
rodes*^h se tyd in Betlehemⁱ
in Jude'a gebore is, het sterre-
voorspellers*^j uit die Ooste na
Jerusalem toe gekom **2** en ge-
vra: "Waar is die kind wat as
koning van die Jode gebore is?^j
Want ons het sy ster gesien toe
ons in die Ooste was, en ons het
gekom om aan hom eer te be-
wys."* **3** Toe koning Herodes
dit hoor, was hy ontsteld, en
die hele Jerusalem saam met
hom. **4** Hy het al die hoof-
priesters en skrifgeleerdes van
die volk bymekaargeroep en vir
hulle gevra waar die Christus*

1:20 *Of "wat in haar verwek is, is
deur heilige gees". **1:21** *Kom oor-
een met die Hebreuse naam Jesua,
of Josua, wat "Jehovah is redding" be-
teken. **1:22, 24** *Sien Aanh. A5. **2:1**
*Sien Woordelys. #Of "townenaars".
2:2 *Of "om voor hom neer te buig".
2:4 *Of "die Messias; die Gesalfde".

gebore sou word. **5** Hulle het vir hom gesê: "In Betlehem^a in Jude'a, want die profeet het geskryf: **6** 'En jy, o Betlehem van die land van Juda, is glad nie die onbelangrikste stad onder die leiers van Juda nie, want uit jou sal 'n leier kom, wat 'n herder vir my volk Israel sal wees.'"^b

7 Toe het Herodes die sterrevoorspellers in die geheim laat roep en by hulle uitgevind presies wanneer die ster verskyn het. **8** Hy het hulle na Betlehem gestuur met die opdrag: "Gaan soek oral na die jong kind, en wanneer julle hom gevind het, moet julle vir my kom sê sodat ek ook kan gaan om aan hom eer te bewys." **9** Nadat die koning met hulle gepraat het, het hulle vertrek. Die ster wat hulle gesien het toe hulle in die Ooste was,^c het voor hulle uit gegaan en het bo die plek waar die jong kind was, gaan staan. **10** Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. **11** Hulle het in die huis ingegaan en die jong kind by sy ma, Maria, gesien. Toe het hulle neergeval en aan hom eer bewys.* Hulle het ook hulle skatte oopgemaak en vir hom geskenke gegee: goud, wierook en mirre. **12** Maar hulle het in 'n droom 'n waarskuwing van God ontvang^d om nie na Herodes toe terug te gaan nie, en daarom het hulle met 'n ander pad na hulle land teruggegaan.

13 Nadat hulle vertrek het, kyk! toe het Jehovah* se engel in 'n droom aan Josef verskyn^e en gesê: "Staan op, neem die jong kind en sy ma en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek vir jou sê om terug te kom,

2:11 *Of "en voor hom neergebuig".
2:13, 15, 19 *Sien Aanh. A5.

HFST. 2

a Joh 7:42

b 2Sa 5:2
Mi 5:2

c Mt 2:2

d Mt 2:22

e Mt 1:20
Mt 2:19

Tweede kol.

a Ho 11:1

b Mt 2:7

c Ge 35:19

d Jer 31:15

e Mt 1:20

f Mt 2:12

g Mr 1:9
Lu 2:39

h Joh 1:45

want Herodes is van plan om die jong kind te soek om hom dood te maak." **14** Toe het Josef in die nag opgestaan en met die jong kind en sy ma na Egipte gegaan. **15** Hy het tot Herodes se dood daar gebly. Dit het vervul wat Jehovah* deur middel van sy profeet gesê het: "Uit Egipte het ek my seun geroep."^a

16 Toe Herodes sien dat die sterrevoorspellers nie gedoen het wat hy gesê het nie, het hy woedend geword. Hy het beveel dat al die seuntjies van twee jaar en jonger in Betlehem en in die omliggende gebiede doodgemaak moet word. Dit was op grond van wat hy by die sterrevoorspellers uitgevind het oor die tyd van die ster se verskyning.^b **17** Toe is vervul wat deur middel van die profeet Jeremia gesê is: **18** "n Stem is in Rama gehoor, 'n gehuil en 'n groot getreur. Dit was Ragel^c wat oor haar kinders huil, en sy wou haar nie laat troos nie, want hulle is nie meer daar nie."^d

19 Toe Herodes gesterf het, kyk! toe het Jehovah* se engel in 'n droom aan Josef in Egipte verskyn^e **20** en gesê: "Staan op, neem die jong kind en sy ma en gaan na die land van Israel, want die mense wat die jong kind wou doodmaak, is dood." **21** Hy het dus opgestaan en die jong kind en sy ma geneem en na die land van Israel gegaan. **22** Maar toe hy hoor dat Arge-la'us in die plek van sy pa, Herodes, oor Jude'a regeer, was hy bang om soontoe te gaan. En omdat God hom ook in 'n droom gewaarsku het,^f het hy weggegaan na die gebied van Galile'a.^g **23** Hy het in 'n stad met die naam Na'saret gaan woon,^h sodat vervul sou word wat deur

middel van die profete gesê is: "Hy sal 'n Nasarener*^a genoem word."

3 In daardie dae het Johannes^b die Doper in die wildernis van Jude'a kom preek^c **2** en gesê: "Toon berou, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom."^d **3** Ja, hy is die een van wie die profeet Jesaja^e gesê het: "Iemand roep in die wildernis uit: 'Berei die weg van Jehovah* voor! Maak sy paaie reguit.'"^f **4** Johannes se klere was van kameelhaar, en hy het 'n leeryfband om sy middel gehad.^g Hy het sprinkane en wilde heuning geëet.^h **5** Toe het die mense van Jerusalem en die hele Jude'a en die hele omgewing om die Jordaanrivier na hom toe gegaan,ⁱ **6** en hulle is deur hom in die Jordaanrivier gedoop,^{*j} en hulle het hulle sondes openlik bely.

7 Toe hy sien dat baie van die Fariseërs en Sadduseërs^k na die doop toe kom, het hy vir hulle gesê: "Julle spul giftige slange,^{*l} wie het julle gewaarsku om vir die komende woede te vlug?^m **8** Bring dan vrugte voort wat by berou pas. **9** Moenie dink dat julle vir julleself kan sê: 'Ons het Abraham as ons vader' nie.ⁿ Want ek sê vir julle dat God vir Abraham kinders uit hierdie klippe kan voortbring. **10** Die byl lê reeds by die wortel van die boom. Elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, gaan afgekap en in die vuur gegooi word.^o **11** Ek doop julle met water omdat julle berou getoon het,^p maar die een wat ná my kom, is sterker as ek, en ek is nie waardig om sy sandale uit te trek nie.^q Hy sal julle

2:23 *Waarskynlik van die Hebreeuse woord vir "spruit". 3:3; 4:4 *Sien Aanh. A5. 3:6 *Of "onderdompel". 3:7 *Of "Addergeboedsele".

HFST. 2

a Jes 11:1
Jes 53:2
Jer 23:5
Sag 3:8

HFST. 3

b Joh 1:6
c Mr 1:3, 4
Lu 3:3-6
d Mt 4:17
e Mr 1:2
Joh 1:23
f Jes 40:3
g 2Kn 1:8
h Mr 1:6
i Mr 1:5
j Mr 1:9
k Mr 12:18
Lu 7:30
l Mt 12:34
m Mt 23:33
Lu 3:7-9
Lu 21:23
n Joh 8:33, 39
o Mt 7:19
Lu 13:6-9
p Han 19:4
q Joh 1:15, 27

Tweede kol.

a Mr 1:7, 8
Joh 1:33
Han 2:1, 4
1Kor 12:13
b Lu 3:16, 17
c Mal 4:1
d Mr 1:9
e Lu 3:21
f Jes 11:2
Mr 1:10, 11
Lu 4:18
Joh 1:32
g Joh 12:28
h Ps 2:7
Lu 9:35
i Jes 42:1
Mt 17:5
Lu 3:22

HFST. 4

j Mr 1:12, 13
Lu 4:1-4
k Heb 4:15
l 1Te 3:5
m De 8:3
Lu 4:4
Joh 4:34
n Ne 11:1
Jes 52:1

doop met heilige gees^a en met vuur.^b **12** Die vurk waarmee hy die koring en die kaf skei, is in sy hand, en hy sal sy dorsvloer heeltemal skoonmaak en sy koring in die voorraadskuur bymeekaarmaak, maar hy sal die kaf verbrand met vuur^c wat nie geblus kan word nie."

13 Toe het Jesus van Galile'a af na die Jordaanrivier toe gekom om deur Johannes gedoop te word.^d **14** Maar Johannes het hom probeer keer deur te sê: "Ek is die een wat deur u gedoop moet word, en u kom na my toe?" **15** Jesus het hom geantwoord: "Laat dit hierdie keer so wees, want dit is goed dat ons op hierdie manier alles doen wat regverdig is." Toe het Johannes opgehou om hom te probeer keer. **16** Nadat Jesus gedoop is, het hy onmiddellik uit die water opgekom. En kyk! die hemel het oopgegaan,^e en hy* het gesien hoe God se gees soos 'n duif neerdaal en op hom^f kom.^f **17** Kyk! 'n Stem het ook uit die hemel^g gesê: "Dit is my geliefde Seun,^h wat ek goedgekeur het."ⁱ

4 Daarna is Jesus deur die gees in die wildernis in gelei om deur die Duiwel^j versoek^k te word. **2** Nadat hy 40 dae en 40 nagte gevas het, was hy honger. **3** En die Versoeker^l het gekom en vir hom gesê: "As jy 'n seun van God is, sê vir hierdie klippe om brode te word." **4** Maar hy het geantwoord: "Daar staan geskryf: 'Die mens moenie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit Jehovah* se mond kom.'"^m

5 Toe het die Duiwel hom na die heilige stad geneem,ⁿ en hy het hom op die muur* van

3:16 *Waarskynlik Johannes. # Jesus. 4:5 *Of "hoogste punt".

die tempel laat staan^a **6** en vir hom gesê: “As jy ’n seun van God is, spring af, want daar staan geskryf: ‘Hy sal sy engele beveel om jou te beskerm’, en: ‘Hulle sal jou op hulle hande dra, sodat jy nie jou voet teen ’n klip stamp nie.’”^b **7** Jesus het vir hom gesê: “Daar staan ook geskryf: ‘Jy mag Jehovah* jou God nie toets nie.’”^c

8 Daarna het die Duiwel hom na ’n baie hoë berg geneem en vir hom al die koninkryke van die wêreld en hulle mag en rykdom gewys.^d **9** En hy het vir hom gesê: “Ek sal al hierdie dinge vir jou gee as jy neerval en my een keer aanbid.” **10** Toe het Jesus vir hom gesê: “Gaan weg, Satan! Want daar staan geskryf: ‘Jy moet Jehovah* jou God aanbid^e en hom alleen dien.’”^f **11** Toe het die Duiwel van hom af weggegaan,^g en kyk! engele het gekom en in sy behoeftes voorsien.^h

12 En toe hy hoor dat Johannes in hegtenis geneem is,ⁱ het hy na Galile’a gegaan.^j **13** Nadat hy Na’saret verlaat het, het hy in Kapernaum^k by die see gaan woon, in die gebied van Sebulon en Naf’tali, **14** sodat vervul sou word wat deur middel van die profeet Jesaja gesê is: **15** “O land van Sebulon en land van Naf’tali, wat langs die pad na die see is, aan die oorkant van die Jordaanrivier, Galile’a van die nasies! **16** Die volk wat in die duisternis gesit het, het ’n groot lig gesien, en lig het begin skyn^l op die inwoners van ’n gebied wat in die skaduwee van die dood was.”^m **17** Van daardie tyd af het Jesus begin preek en gesê: “Toon be-

4:7, 10 *Sien Aanh. A5. 4:10 ^aOf “aan hom alleen heilige diens verrig”. 4:11 ^bOf “en hom versterk”.

- HFST. 4
- a Lu 4:9-12
- b Ps 91:11, 12
- c De 6:16
Lu 4:12
1Kor 10:9
- d Lu 4:5-8
- e Op 22:9
- f De 6:13
De 10:20
Lu 4:8
- g Lu 4:13
Jak 4:7
- h Lu 22:43
Heb 1:7, 14
- i Mr 6:17, 18
Lu 3:19, 20
- j Mr 1:14
Lu 4:14
- k Lu 4:31
- l Joh 1:9
- m Jes 9:1, 2

Tweede kol.

- a Mt 10:7
Mr 1:14, 15
- b Joh 1:42
- c Mr 1:16-18
- d Lu 5:10, 11
- e Mr 10:28
Lu 18:28
- f Mt 10:2
Mt 27:55, 56
Mr 3:17
Mr 10:35
Joh 21:2
- g Mr 1:19, 20
- h Mt 9:35
Mr 1:39
Mr 6:6
- i Lu 4:16
Han 13:13, 14
- j Lu 9:11
Han 10:37, 38
- k Mr 6:55
- l Mr 1:32
Han 5:16
- m Mt 17:15

rou, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom.”^a

18 Terwyl hy langs die See van Galile’a geloop het, het hy twee broers gesien: Simon, wat Petrus^b genoem word, en sy broer Andre’as. Hulle was besig om ’n net in die see uit te gooi, want hulle was vissermanne.^c **19** Hy het vir hulle gesê: “Kom volg my, en ek sal julse vissers van mense maak.”^d

20 Hulle het dadelik hulle nette gelos en hom gevolg.^e **21** Toe hy verder gaan, het hy twee ander broers gesien: Jakobus, die seun van Sebede’us, en sy broer Johannes.^f Hulle was in die boot saam met hulle pa, Sebede’us, terwyl hulle hulle nette reggemaak het, en Jesus het hulle geroep.^g **22** Hulle het die boot en hulle pa dadelik agtergelaat en hom gevolg.

23 Toe het hy deur die hele Galile’a gegaan^h en in hulle sinagoges geleerⁱ en die goeie nuus van die Koninkryk verkondig en elke soort siekte en elke soort kwaal onder die volk genees.^j **24** En die nuus oor hom het deur die hele Sirië versprei, en hulle het almal na hom toe gebring wat weens allerhande siektes en pyne gely het,^k sowel as mense in wie daar demone was,^l wat aan epilepsie gely het^m en wat verlam was, en hy het hulle genees. **25** Gevolglik het groot groepe mense hom gevolg uit Galile’a en die Dekapo’lis* en Jerusalem en Jude’a en van oorkant die Jordaanrivier.

5 Toe hy die skare sien, het hy teen die berg opgegaan. En nadat hy gaan sit het, het sy dissipels na hom toe gekom.

2 Toe het hy begin praat en hulle geleer en gesê:

3 “Gelukkig is dié wat besef

4:25 ^aOf “die Streek van Tien Stede”.

dat hulle God nodig het,^a want die Koninkryk van die hemel behoort aan hulle.

4 "Gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.^b

5 "Gelukkig is dié wat saggeaard* is,^c want hulle sal die aarde ontvang.^d

6 "Gelukkig is dié wat honger en dors^e na regverdigheid, want hulle sal versadig word.^f

7 "Gelukkig is dié wat genadig is,^g want aan hulle sal genade betoon word.

8 "Gelukkig is dié wat suiwer van hart is,^h want hulle sal God sien.

9 "Gelukkig is dié wat vrede maak,ⁱ want hulle sal kinders van God genoem word.

10 "Gelukkig is dié wat ter wille van regverdigheid vervolg is,^j want die Koninkryk van die hemel behoort aan hulle.

11 "Gelukkig is julle wanneer mense julle beledig^k en julle vervolg^l en julle valslik beskuldig van allerhande slegte dinge omdat julle my volgelinge is.^m

12 Wees bly en vreugdevolⁿ omdat julle beloning^o groot is in die hemel, want so het hulle die profete voor julle vervolg.^p

13 "Julle is die sout^q van die aarde, maar as die sout sy krag verloor, hoe sal dit weer sout gemaak word? Dit kan vir niks anders gebruik word as om buite gegooi te word^r en deur mense vertrap te word nie.

14 "Julle is die lig van die wêreld.^s 'n Stad kan nie weggesteek word wanneer dit op 'n berg is nie. 15 Mense wat 'n lamp aansteek, sit dit nie onder 'n emmer* nie, maar op die

5:3 *Of "wat bewys is van hulle geestelike behoefte; wat bedelaars vir die gees is". 5:5 *Of "sagmoedig". "Lett." "beërf". 5:9 *Of "vredeliewend is". 5:15 *Of "maattemmer".

HFST. 5

- a Lu 6:20
- b Jes 61:2, 3
Mt 11:28
- c 1Ti 6:11
Tit 3:2
- d Ps 37:11
- e Jes 55:1
Lu 6:21
- f Joh 6:35
- g Mt 6:14
Mt 18:33
Jak 2:13
- h Ps 24:3, 4
Ps 73:1
- i Ro 12:18
Heb 12:14
Jak 3:18
- j Mr 10:29, 30
1Pe 3:14
- k Mt 10:22
- l Joh 15:20
- m Lu 6:22, 23
Jak 1:2
1Pe 4:14
- n Han 5:41
Ro 5:3
- o Heb 11:6
- p 2Kr 36:16
Han 7:52
Heb 11:32, 37
- q Mr 9:50
- r Lu 14:34, 35
- s Joh 8:12
Joh 12:36
Flp 2:15

Tweede kol.

- a Mr 4:21
Lu 11:33
- b Ef 5:8
Flp 2:15
- c Ef 5:9
- d Joh 15:8
1Pe 2:9, 12
- e Lu 4:21
- f Jes 40:8
Lu 16:17
- g Mt 15:7-9
Mt 23:23
Lu 11:42
- h Mt 18:3
Joh 3:5
- i Ge 9:6
Eks 20:13
De 5:17
- j Le 24:17,
De 17:8, 9
- k Kol 3:8
Jak 1:19
- l Mt 10:28
Lu 12:5
1Jo 3:15

lampstaander, en dit skyn op almal in die huis.^a 16 Net so moet julle julle lig voor mense laat skyn,^b sodat hulle julle goeie werke^c kan sien en julle Vader wat in die hemel is, kan verheerlik.^d

17 "Moenie dink dat ek gekom het om 'n einde te maak aan die Wet of die woorde van die profete nie. Ek het nie gekom om 'n einde te maak nie, maar om te vervul.^e 18 Ek verseker julle: Hemel en aarde sal eerder verdwyn as dat die kleinste letter of selfs 'n deeltjie van 'n letter uit die Wet verdwyn. Alles wat daarin geskryf is, sal plaasvind.^f 19 Elkeen wat dan een van hierdie kleinste gebooe breek en ander leer om dit ook te doen, sal die kleinste genoem word in verband met die Koninkryk van die hemel. Maar elkeen wat dit gehoorsaam en dit aan ander leer, sal groot genoem word in verband met die Koninkryk van die hemel. 20 Want ek sê vir julle, as julle nie regverdiger is as die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie,^g sal julle beslis nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie.^h

21 "Julle het gehoor dat daar vir die mense van die ou tyd gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie,ⁱ maar elkeen wat 'n moord pleeg, sal deur die hof aanspreeklik gehou word.'^j 22 Ek sê egter vir julle dat elkeen wat kwaad bly vir sy broer,^k deur die hof aanspreeklik gehou sal word, en elkeen wat iets verskrikliks sê om sy broer te beledig, deur die Hooggeregshof aanspreeklik gehou sal word, terwyl elkeen wat sê: 'Jou niks-werd idioot!' in die vurige Gehenna* kan beland.^l

5:22 *Die plek buite Jerusalem waar vullis verbrand is. Sien Woordelys.

23 "As jy dan jou offer na die altaar bring^a en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou het, 24 los jou offer daar voor die altaar en gaan weg. Maak eers vrede met jou broer en kom dan terug en bring jou offer.^b

25 "Wees gou om dinge reg te stel met die een wat 'n saak teen jou gemaak het, terwyl jy nog saam met hom op pad hof toe is. Anders sal hy jou dalk op die een of ander manier aan die regter oorlewer, en die regter sal jou aan die hofbeampte oorlewer, en jy sal in die tronk ge-gooi word.^c 26 Ek kan jou ver-seker dat jy beslis nie daar sal uitkom totdat jy jou laaste sent* betaal het nie.

27 "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.'^d 28 Maar ek sê vir julle dat elkeen wat aanhou om na 'n vrou te kyk^e en 'n begeerte na haar ontwikkel, reeds in sy hart met haar egbreuk ge-pleeg het.^f 29 As jou regter-oog dan vir jou 'n struikelblok is, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg.^g Want dit is beter vir jou om een van jou liggaamsdele te verloor as dat jou hele liggaam in Gehen'na* ge-gooi word.^h 30 En as jou regterhand vir jou 'n struikelblok is, kap dit af en gooi dit van jou af weg.ⁱ Want dit is beter vir jou om een van jou liggaamsdele te verloor as dat jou hele liggaam in Gehen'na* beland.^j

31 "Daar is ook gesê: 'Laat elkeen wat van sy vrou skei, vir haar 'n skeibrief gee.'^k 32 Ek sê egter vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe weens seksuele onsedelikheid,* haar in 'n posisie plaas waarin

5:26 *Lett. "quadrans". Sien Aanh. B14. 5:29, 30 *Sien Woordelys. 5:32 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woorde-ly.

HFST. 5

- a De 16:16
- b 1Jo 4:20
- c Lu 12:58, 59
- d Eks 20:14
De 5:18
Lu 18:20
Ro 13:9
- e 2Sa 11:2
Job 31:1
- f Mr 7:20-22
- g Lu 11:34
- h Mt 18:9
Mr 9:47
- i Kol 3:5
- j Mt 18:8
- k De 24:1
Mt 19:3, 8
Mr 10:2, 4

Tweede kol.

- a Mt 19:9
Mr 10:11, 12
Lu 16:18
Ro 7:3
- b Le 19:12
- c Nu 30:2
De 23:21
Pr 5:4
- d Jak 5:12
- e Jes 66:1
- f Ps 48:2
- g Jak 5:12
- h Joh 8:44
- i Eks 21:24, 25
Le 24:20
De 19:21
- j Spr 24:29
Jes 50:6
Lu 6:29
Ro 12:17
1Pe 2:23
- k 1Kor 6:7
- l Le 25:36
De 23:19
- m Le 19:18
Mr 12:31
- n Spr 25:21
Ro 12:20
- o Lu 6:27, 28
Han 7:60
Ro 12:14

sy dalk egbreuk kan pleeg. En enigiemand wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.^a

33 "Julle het ook gehoor dat daar vir die mense van die ou tyd gesê is: 'Jy mag nie sweer sonder om jou eed na te kom nie,^b maar jy moet jou geloftes aan Jehovah* betaal.'^c 34 Ek sê egter vir julle: Moet glad nie sweer nie,^d nie by die hemel nie, want dit is God se troon, 35 en ook nie by die aarde nie, want dit is die voetbank van sy voete,^e en ook nie by Jeru-salem nie, want dit is die stad van die groot Koning.^f 36 Moe-nie by jou kop sweer nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie. 37 Laat julle 'ja' net ja wees en julle 'nee', nee,^g want enigiets meer as dit is van die Duiwel* af.^h

38 "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Oog vir oog en tand vir tand.'ⁱ 39 Ek sê egter vir julle: Moenie die een wat god-deloos is, teëstaan nie, maar as iemand jou op jou regterwang klap, draai die ander een ook na hom toe.^j 40 En as iemand jou hof toe wil neem en jou onder-kleed wil vat, laat hom ook jou bo-kleed vat,^k 41 en as iemand met gesag jou dwing om een myl* saam met hom te gaan, gaan twee myl saam met hom. 42 Gee aan die persoon wat iets van jou vra, en moenie weg-draai van iemand wat by jou wil leen* nie.^l

43 "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy moet jou naas-te liefhê^m en jou vyand haat.'^o 44 Maar ek sê vir julle: Hou aan om julle vyande lief te hêⁿ en om te bid vir die mense wat jul-le vervolg,^o 45 sodat julle kan

5:33 *Sien Aanh. A5. 5:37 *Lett. "die Bose". 5:41 *Sien Aanh. B14. 5:42 *D.w.s. leen sonder rente.

toon dat julle kinders is van julle Vader wat in die hemel is,^a want hy laat sy son opkom oor die goddeloses en die goeies, en hy laat dit reën op die regverdiges en die onregverdiges.^b

46 Want as julle die mense liefhet wat vir julle lief is, watter beloning het julle?^c Is dit nie iets wat die belastingvaarders* ook doen nie? **47** En as julle net julle broers groet, wat doen julle wat buitengewoon is? Is dit nie iets wat die mense van die nasies ook doen nie? **48** Julle moet dus volmaak* wees, soos julle hemelse Vader volmaak is.^d

6 "Pasop dat julle nie goeie dade voor mense doen*" om deur hulle gesien te word nie,^e want anders sal julle geen beloning hê by julle Vader wat in die hemel is nie. **2** Wanneer jy geskenke aan die armes* gee, moet jy nie 'n trompet voor jou blaas soos die skynheiliges in die sinagoges en in die strate doen nie. Hulle doen dit sodat hulle deur mense geer kan word. Ek verseker julle: Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. **3** Maar wanneer jy geskenke vir die armes gee, moet jy nie jou linkerhand laat weet wat jou regterhand doen nie, **4** sodat jou geskenke wat jy vir die armes gee, in die geheim kan wees. Dan sal jou Vader wat in die geheim toekyk, jou beloon.^f

5 "En wanneer julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie.^g Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die hoofstrate te staan en bid om deur mense gesien te word.^h Ek verseker julle:

5:46 *Persone wat belasting vir die regering invorder. **5:48** *Of "volkome". **6:1** *Lett. "julle regverdigheid voor mense beoefen". **6:2** *Of "genadegawes".

HFST. 5

a Ef 5:1

b Lu 6:35
Han 14:17

c Lu 6:32, 33

d Le 19:2
De 18:13
Lu 6:36
1Pe 1:16

HFST. 6

e Mt 23:5

f Spr 19:17
Mt 10:42

g Lu 18:11

h Mt 6:16
Mt 23:5

Tweede kol.

a Lu 6:12

b Lu 12:30

c Lu 11:2-4

d Eks 6:3
Ps 83:18

e Ese 36:23

f Da 2:44
Mt 6:33
Op 11:15

g Mt 26:42
1Ti 2:4
Op 4:11

h Ps 37:10
Lu 23:43
Han 24:15

i Ps 37:25
Spr 30:8
Mt 6:34
1Ti 6:8

j Mt 18:21
Mr 11:25

k Mt 26:41
1Kor 10:13
Op 3:10

l Joh 17:15
1Jo 5:19

m Ef 4:32
Kol 3:13

n Mt 18:35
Jak 2:13

o Han 13:2, 3
Han 14:23

p Jes 58:5
Lu 18:11, 12

Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. **6** Maar wanneer jy bid, moet jy in jou binnekamer ingaan, en nadat jy die deur toegemaak het, moet jy bid tot jou Vader wat in die geheim toekyk.^a Dan sal jou Vader wat in die geheim toekyk, jou beloon. **7** Wanneer julle bid, moet julle nie dieselfde dinge oor en oor sê soos die mense van die nasies nie, want hulle dink dat God na hulle sal luister omdat hulle baie woorde gebruik. **8** Moenie soos hulle wees nie, want julle Vader weet wat julle nodig het^b selfs nog voordat julle hom vra.

9 "Julle moet dan só bid:^c

"Ons Vader in die hemel, laat u naam^d geheilig word.^e **10** Laat u Koninkryk^f kom. Laat u wil^g plaasvind* op die aarde,^h net soos in die hemel. **11** Gee ons vandag ons brood vir hierdie dag,ⁱ **12** en vergewe ons ons sondes,* soos ons ook die mense vergewe het wat teen ons gesondig het.^j **13** En moet ons nie in versoeking bring nie,^k maar verlos* ons van die Duiwel.^l"

14 "Want as julle mense vir hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe,^m **15** maar as julle mense nie vir hulle oortredings vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie vir julle oortredings vergewe nie.ⁿ

16 "Wanneer julle vas,^o moet julle ophou om soos die skynheiliges met 'n lang gesig rond te loop, want hulle trek hulle gesigte* sodat mense kan sien dat hulle vas.^p Ek verseker julle: Hulle het reeds

6:10 *Of "geskied". **6:12** *Lett. "skulde". ^lLett. "ons skuldenaars vergeve het". **6:13** *Of "red". ^lLett. "die Bose". **6:16** *Of "verwaarloos hulle voorkoms".

hulle volle beloning ontvang. **17** Maar wanneer jy vas, moet jy olie op jou kop sit en jou gesig was, **18** sodat mense nie sal sien dat jy vas nie, maar net jou Vader wat in die geheim toekyk. Dan sal jou Vader wat in die geheim toekyk, jou beloon.

19 "Hou op om vir julle skatte op die aarde bymekaar te maak,^a waar mot en roes verteer en waar diewe inbreek en steel. **20** Maak eerder vir julle skatte in die hemel bymekaar,^b waar mot en roes nie verteer nie^c en waar diewe nie inbreek en steel nie. **21** Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

22 "Die lamp van die liggaam is die oog.^d As jou oog dan gefokus* is, sal jou hele liggaam helder^e wees. **23** Maar as jou oog vol jaloesie* is,^e sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou in werklikheid duisternis is, hoe groot is daardie duisternis tog!

24 "Niemand kan twee meesters as slaaf dien nie, want hy sal die een haat en die ander een liefhê,^f of hy sal lojaal wees aan die een en die ander een nie kan verdra nie. Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.^g

25 "Daarom sê ek vir julle: Hou op om bekommerd te wees^h oor julle lewens,* oor wat julle sal eet of oor wat julle sal drink, of oor julle liggame, oor wat julle sal aantrek.ⁱ Beteken die lewe^e nie meer as kos en die liggaam meer as klere nie?^j **26** Hou die voëls van die hemel goed dop.^k Hulle saai nie saad nie en hulle oes nie en hulle

6:22 *Of "helder". Lett. "eenvoudig".
 "Of "vol lig". 6:23 *Of "afguns". Lett. "sleg; goddeloos". 6:25 *Of "siele".
 "Of "die siel".

HFST. 6

- a Mt 13:22
Lu 12:20
Jak 5:3
- b Mt 19:21
Mr 10:21
Lu 12:33, 34
Lu 18:22
- c 1Pe 1:3, 4
- d Spr 4:25
Lu 11:34
Ef 1:18
- e Mt 20:15
- f Jak 4:4
- g Mt 13:22
Lu 16:13
- h Ps 55:22
Flp 4:6
1Pe 5:6, 7
- i 1Ti 6:8
Heb 13:5
- j Lu 12:22-28
- k Job 38:41
Ps 147:9
Mt 10:29

Tweede kol.

- a Ps 39:5
- b 1Kn 10:4, 5
- c Lu 10:41
- d Lu 12:29-31
- e Ps 37:25
- f Eks 16:4, 19

HFST. 7

- g Lu 6:37
Ro 2:1
Ro 14:13
- h Mt 18:33, 34
Jak 2:13
- i Mr 4:24
Lu 6:38
Ga 6:7
- j Lu 6:41, 42

maak nie in voorraadschure bymekaar nie, maar tog sorg julle hemelse Vader dat hulle kos het. Is julle nie meer werd as hulle nie? **27** Wie van julle kan een el* by sy lewe voeg deur hom te bekommer?^a **28** En hoekom is julle bekommerd oor klere? Leer 'n les by die lilies van die veld, hoe hulle groei. Hulle sloof hulle nie af nie, en hulle spin ook nie, **29** maar ek sê vir julle dat nie eers Salomo^b met al sy prag en rykdom soos een van hulle geklee was nie. **30** As God dan die plantegroei van die veld so klee, wat vandag hier is en môre in die oond gegooi word, sal hy julle nie veel eerder klee nie? Waar is julle geloof? **31** Moet dan nooit bekommerd wees^c en sê: 'Wat gaan ons eet?' of: 'Wat gaan ons drink?' of: 'Wat gaan ons aantrek?' nie.^d **32** Want al hierdie dinge jaag die nasies gretig na. Julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

33 "Hou dan aan om eers die Koninkryk en sy regverdigheid te soek, en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word.^e **34** Moet dus nooit bekommerd wees oor die volgende dag nie,^f want die volgende dag sal sy eie bekommernisse hê. Elke dag het genoeg van sy eie probleme.

7 "Hou op om te oordeel,^g so dat julle nie geoordeel word nie, **2** want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word,^h en met die maathouer waarmee julle uitmeet, sal hulle vir julle uitmeet.ⁱ **3** Hoekom kyk jy dan na die splinter in jou broer se oog, maar jy sien nie die balk in jou eie oog nie?^j **4** Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'Laat my toe

6:27 *Sien Aanh. B14.

om die splinter uit jou oog uit te haal,' wanneer daar 'n balk in jou eie oog is? **5** Jou skynheilige! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, en dan sal jy duidelik kan sien hoe om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

6 "Moenie wat heilig is, vir die honde gee nie, en moet ook nie julle pèrels voor die varke gooi nie,^a sodat hulle dit nie onder hulle pote sal vertrap en omdraai en julle verskeur nie.

7 "Hou aan vra, en daar sal vir julle gegee word.^b Hou aan soek, en julle sal vind. Hou aan klop, en daar sal vir julle oopgemaak word.^c **8** Want elkeen wat vra, ontvang,^d en elkeen wat soek, vind, en vir elkeen wat klop, sal daar oopgemaak word.

9 Ja, wie van julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy vir brood vra? **10** Of as hy vir 'n vis vra, sal jy tog nie vir hom 'n slang gee nie, of hoe? **11** As julle wat goddeloos is, dan weet hoe om goeie dinge vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie dinge^e gee vir dié wat hom vra!^f

12 "Alles wat julle dan wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen,^g want dit is wat die Wet en die boeke van die profete beteken.^h

13 "Gaan in deur die nou poort,ⁱ want wyd is die poort en breed is die pad wat na vernietiging lei, en daar is baie mense wat daardeur ingaan, **14** maar nou is die poort en smal is die pad wat na die lewe lei, en daar is min mense wat dit vind.^j

15 "Pasop vir die valse profete^k wat in skaapsklere^l na julle toe kom maar wat in werklikheid wolwe is wat julle wil verskeur.^m **16** Julle sal hulle aan hulle vrugte herken. Mense pluk nooit druiwe van dorings of vye van dissels nie, of hoe?ⁿ

HFST. 7

a Spr 9:7
Mt 10:14b Mr 11:24
Jak 1:5
1Jo 5:14

c Lu 11:9-13

d Joh 14:13
1Jo 3:22

e Jak 1:17

f Lu 11:13

g Lu 6:31

h Ro 13:10
Ga 5:14

i Lu 13:24

j Han 14:22
1Pe 4:18k Mt 24:11
2Pe 2:1
1Jo 4:1

l Lu 6:26

m Han 20:29, 30

n Lu 6:44

Tweede kol.

a Mt 12:33

b Lu 6:43

c Mt 3:10
Lu 13:6, 9

d Mt 12:33

e Ro 2:13
Jak 1:22
1Jo 2:17
1Jo 5:3

f Lu 6:46

g Jer 14:14
Jer 27:15

h Lu 13:25-27

i Lu 6:47-49
Jak 1:25

j Jak 1:23, 24

k 1Kor 3:13

l Mr 1:22
Lu 4:32

17 Net so dra elke goeie boom goeie vrugte, maar elke slegte boom dra waardelose vrugte.^a

18 'n Goeie boom kan nie waardelose vrugte dra nie, en 'n slegte boom kan ook nie goeie vrugte dra nie.^b **19** Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word afgekap en in die vuur gegooi.^c **20** Julle sal daardie mense dus aan hulle vrugte herken.^d

21 "Nie elkeen wat vir my sê: 'Here, Here,' sal in die Koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net die een wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.^e **22** Baie sal in daardie dag vir my sê: 'Here, Here,'^f het ons nie in u naam geprofeeteer en in u naam demone uitgedryf en in u naam allerhande kragtige werke gedoen nie?^g

23 En dan sal ek vir hulle sê: 'Ek het julle nooit geken nie! Gaan weg van my af, julle wettelose mense!'^h

24 "Daarom sal elkeen wat my woorde hoor en dit doen, soos 'n verstandige man wees wat sy huis op die rots gebou het.ⁱ **25** En die reën het neergestort en die vloedwaters het gekom en die winde het gewaai en aan daardie huis geruk, maar dit het nie ineengestort nie, want dit was op die rots gebou.

26 Aan die ander kant sal elkeen wat hierdie woorde van my hoor en dit nie doen nie, soos 'n onverstandige man wees wat sy huis op die sand gebou het.^j **27** En die reën het neergestort en die vloedwaters het gekom en die winde het gewaai en daardie huis getref,^k en dit het ineengestort, en sy ineenstorting was groot."

28 Nadat Jesus hierdie woorde gesê het, was die skare verstom oor die manier waarop hy geleer het,^l **29** want hy het hulle geleer soos iemand wat gesag

het,^a en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

8 Nadat hy van die berg af gekom het, het groot groepe mense hom gevolg. **2** 'n Melaatse man het nader gekom en aan hom eer bewys* en gesê: "Here, as u net wil, kan u my gesond[#] maak."^b **3** Jesus het sy hand uitgesteek en aan hom geraak en gesê: "Ek wil! Word gesond."^c Hy is onmiddellik van sy melaatshêd gesond gemaak.*^d **4** Toe het Jesus vir hom gesê: "Moet vir niemand vertel nie,^e maar gaan wys jou vir die priester^f en offer die gawe wat Moses voorgeskryf het.^g Dit sal as 'n getuënis vir hulle dien."

5 Toe hy in Kaper'naum ingaan, het 'n militêre offisier na hom toe gekom en hom gesmek^h **6** en gesê: "Meneer, my kneg lê verlam by die huis, en hy ly verskriklik." **7** Hy het vir hom gesê: "Wanneer ek daar aankom, sal ek hom genees." **8** Die militêre offisier het geantwoord: "Meneer, ek verdien nie dat u onder my dak inkom nie, maar sê net die woord, en my kneg sal gesond word." **9** Want ek is ook 'n man onder die gesag van iemand anders, en ek het soldate onder my, en ek sê vir die een: 'Gaan!' en hy gaan, en vir 'n ander een: 'Kom!' en hy kom, en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit." **10** Toe Jesus dit hoor, was hy verbaas, en hy het vir dié wat hom gevolg het, gesê: "Ek vertel julle die waarheid: Ek het niemand in Israel gevind wat sulke groot geloof het nie."ⁱ **11** Maar ek sê vir julle dat baie uit die ooste en die weste sal kom en 'n plek aan tafel saam met Abraham en Isak en Jakob in die Koninkryk van

8:2 *Of "voor hom neergebuig".
"Lett. "rein". 8:3 *Lett. "gereinig".

HFST. 7

a Joh 7:46

HFST. 8

b Mr 1:40-44
Lu 5:12-14

c Mr 1:41
Lu 5:13

d Jes 53:4

e Mt 9:30
Mt 12:15, 16
Mr 7:35, 36

f Le 14:2
Lu 17:14

g Le 14:3, 4
Le 14:19, 20

h Lu 7:1-9

i Mt 15:28
Lu 7:9

Tweede kol.

a Lu 13:29

b Lu 13:28

c Mt 9:29
Mt 15:28
Mr 9:23

d Lu 7:10

e 1Kor 9:5

f Mr 1:29-34
Lu 4:38-41

g Mr 5:41
Han 3:7

h Jes 53:4

i Mr 4:35
Lu 8:22

j Lu 9:57

k Lu 9:58
2Kor 8:9

l Lu 9:59

m Lu 9:60

n Mr 4:36

o Mr 4:37-41
Lu 8:23-25

die hemel sal inneem,^a **12** terwyl die kinders van die Koninkryk in die duisternis daar buite gegooi sal word. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."^b **13** Toe het Jesus vir die militêre offisier gesê: "Gaan. Laat dit gebeur net soos jy geglo het."^c En die kneg het in daardie uur gesond geword.^d

14 Jesus het toe in Petrus se huis ingegaan en gesien dat sy skoonma^e siek in die bed lê met koors.^f **15** Toe het hy aan haar hand geraak,^g en die koors het verdwyn, en sy het opgestaan en hom begin bedien. **16** Maar nadat dit aand geword het, het mense 'n hele aantal persone in wie daar demone was, na hom toe gebring, en hy het die geeste met 'n woord uitgedryf, en hy het almal genees wat gely het, **17** sodat vervul sou word wat deur middel van die profeet Jesaja gesê is: "Hy het ons siektes geneem en ons kwale gedra."^h

18 Toe Jesus 'n skare rondom hom sien, het hy vir hulle gesê dat hulle na die oorkant van die see moet gaan.ⁱ **19** En 'n skrifgeleerde het na hom toe gekom en vir hom gesê: "Leermeester, ek sal u volg waar u ook al gaan."^j **20** Maar Jesus het vir hom gesê: "Jakkalse het gate en voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het nêrens om sy kop neer te lê nie."^k **21** Toe het 'n ander dissipel vir hom gesê: "Here, laat my toe om eers my pa te gaan begrawe."^l **22** Jesus het vir hom gesê: "Hou aan om my te volg, en laat die dooies hulle dooies begrawe."^m

23 Hy het toe in 'n boot geklim, en sy dissipels het hom gevolg.ⁿ **24** Skielik het daar 'n groot storm oor die see opgekóm, en golwe het bo-oor die boot gespoel, maar Jesus het gelê en slaap.^o **25** Hulle het ge-

kom en hom wakker gemaak en gesê: "Here, red ons, ons staan op die punt om dood te gaan!" **26** Maar hy het vir hulle gevra: "Hoekom is julle so bang? Hoekom het julle so min geloof?"^a Toe het hy opgestaan en die wind en die see bestraf, en 'n groot kalmte het oor die see gekom.^b **27** En die manne was verbaas en het gesê: "Watter soort mens is hy? Selfs die wind en die see gehoorsaam hom."

28 Toe hy aan die oorkant kom, in die gebied van die Gadareners, het twee mans tussen die grafte* uitgekome na hom toe.^c Daar was demone in hulle, en hulle was so gewelddadig dat niemand die moed gehad het om op daardie pad verby te gaan nie. **29** En hulle het geskree: "Wat het ons met jou te doen, Seun van God?"^d Het jy hierheen gekom om ons voor die vasgestelde tyd te pynig?"^e **30** 'n Hele ent van hulle af het 'n groot trop varke gewei.^f **31** Toe het die demone hom begin smeek en gesê: "As jy ons gaan uitdryf, stuur ons in die trop varke in."^g **32** Hy het vir hulle gesê: "Gaan!" Hulle het dus uitgekome en in die varke ingegaan, en die hele trop het oor die krans* gestorm, in die see in, en in die water verdrink. **33** Maar die oppassers het gevlug, en hulle het in die stad ingegaan en alles vertel, asook wat gebeur het met die mans in wie die demone was. **34** En die hele stad het uitgekome om Jesus te ontmoet. Toe hulle hom sien, het hulle hom gesmeek om hulle gebied te verlaat.^h

9 Toe het hy in die boot geklim, na die oorkant gegaan en in sy eie stad ingegaan.ⁱ **2** En daar het hulle 'n verlamde

8:28 *Of "gedenkgrafte". 8:32 *Of "teen die stelte af".

HFST. 8

a Mt 14:31
Mr 4:40b Ps 89:9
Ps 107:29
Lu 8:25c Mr 5:1-3
Lu 8:26, 27

d Lu 4:34, 41

e Mr 1:24
Mr 5:7-10
Lu 8:28
Jak 2:19

f Mr 5:11-17

g De 14:8
Lu 8:31-34

h Lu 8:35-37

HFST. 9

i Mt 4:13
Mr 2:1

Tweede kol.

a Mr 2:3-12
Lu 5:18-26

b Joh 2:24, 25

c Mr 2:9

d Mr 2:10, 11
Lu 5:24
Joh 5:8e Mr 2:14
Lu 5:27, 28f Mr 2:15-17
Lu 5:29-32g Lu 7:39
Lu 15:2
Lu 19:7

h Lu 5:31

man op 'n draagbed na hom toe gebring. Toe Jesus hulle sterk geloof sien, het hy vir die verlamde man gesê: "Moenie moed verloor nie, kind! Jou sondes is vergewe."^a **3** Van die skrifgeleerdes het vir hulleself gesê: "Hierdie man laster." **4** Omdat Jesus geweet het wat hulle dink, het hy gesê: "Hoekom dink julle slegte dinge?"^b **5** Wat is byvoorbeeld makliker? Om te sê: 'Jou sondes is vergewe,' of om te sê: 'Staan op en loop?'^c **6** Maar om julle te laat besef dat die Seun van die mens gesag op die aarde het om sondes te vergewe . . ." Hy het toe vir die verlamde man gesê: "Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe."^d **7** En hy het opgestaan en na sy huis toe gegaan. **8** Toe die skare dit sien, het hulle bang geword, en hulle het God geloof, wat sulke gesag aan mense gegee het.

9 Toe Jesus daarvandaan verder gaan, het hy 'n man met die naam Matte'us by die belastingkantoor sien sit, en hy het vir hom gesê: "Word my volgeling." Toe het hy opgestaan en hom gevolg.^e **10** Later, terwyl Jesus in die huis eet het,* het baie belastinggaarders^f en sondaars gekom en saam met hom en sy dissipels begin eet.^g **11** Maar toe die Fariseërs dit sien, het hulle vir sy dissipels gevra: "Hoekom eet julle leermeester saam met belastinggaarders en sondaars?"^g **12** Hy het hulle gehoor en gesê: "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar mense wat siek is, het wel."^h **13** Gaan dan en leer wat die volgende beteken: 'Ek wil hê dat julle genade moet betoon, nie dat julle

9:10 *Of "aan tafel was". ^fPersone wat belasting vir die regering invorder. ^hOf "aan tafel gegaan".

offerandes bring nie.^a Want ek het nie gekom om regverdige mense te roep nie, maar sondaars.”

14 Toe het Johannes se dissipels na hom toe gekom en gevra: “Hoekom vas ons en die Fariseërs gereeld, maar u dissipels vas nie?”^b **15** Hierop het Jesus vir hulle gesê: “Die vriende van die bruidegom het geen rede om te treur solank die bruidegom^c by hulle is nie, of hoe? Maar die dae sal kom wanneer die bruidegom van hulle af wegeneem sal word,^d en dan sal hulle vas. **16** Niemand werk ’n stuk ongekrimpte materiaal op ’n ou bo-kleed vas nie, want die nuwe stuk sal van die kleed lostrek, en die skeur sal erger word.^e **17** Mense gooi ook nie nuwe wyn in ou wysakke nie. As hulle dit doen, sal die wysakke bars en die wyn uitloop, en dan is die wysakke stukkend. Maar mense gooi nuwe wyn in nuwe wysakke sodat hulle al twee kan behou.”

18 Terwyl hy vir hulle hierdie dinge vertel het, het ’n sekere heerser wat na hom toe gekom het, aan hom eer begin bewys* en gesê: “My dogter is seker nou al dood, maar kom lê u hand op haar, en sy sal weer lewe.”^f

19 Toe het Jesus opgestaan, en hy en sy dissipels het die man gevolg. **20** En ’n vrou wat 12 jaar lank aan bloedvloeiing gely het,^g het van agter af gekom en aan die fraaijns van sy bo-kleed geraak,^h **21** want sy het heelyd vir haarself gesê: “As ek net aan sy bo-kleed raak, sal ek gesond word.” **22** Jesus het omgedraai, haar gesien en gesê: “Moenie moed verloor nie, dogter! Jou geloof het jou gesond gemaak.”ⁱ En die vrou het

HFST. 9

- a Spr 21:3
Ho 6:6
Mt 12:7
- b Mr 2:18-20
Lu 5:33-35
- c Mt 22:2
- d Mt 26:2
- e Mr 2:21, 22
Lu 5:36-39
- f Mr 5:22-24
Lu 8:41, 42
Joh 11:25
- g Le 15:25
- h Mr 5:25-34
Mr 6:56
Lu 8:43-48
- i Mr 10:52
Lu 7:50
Lu 17:19
Lu 18:42

Tweede kol.

- a Joh 4:53
- b Mr 5:38-43
Lu 8:52-56
- c Joh 11:11
- d Mr 9:27
- e Lu 8:55
- f Mt 20:30
- g Han 14:9, 10
- h Mt 20:34
- i Jes 42:2
Mt 12:15, 16
Mr 1:44, 45
Mr 7:35, 36
- j Mt 12:22
Lu 11:14
- k Mt 15:31
- l Mr 2:12
- m Mt 12:24
Mr 3:22
Lu 11:15

op daardie oomblik gesond geword.^a

23 Toe hy in die heerser se huis kom en die fluitspelers sien, en die skare wat te kere gaan,^b **24** het Jesus gesê: “Verlaat die plek, want die dogtertjie het nie gesterf nie. Sy slaap.”^c Toe het hulle hom begin uitlag. **25** Onmiddellik nadat die skare buitentoe gestuur is, het hy ingegaan en haar hand geneem,^d en die dogtertjie het opgestaan.^e **26** Die nuus hierop het natuurlik deur daardie hele gebied versprei.

27 Toe Jesus daarvandaan verder gaan, het twee blinde mans^f hom gevolg en uitgeroep: “Betoen genade aan ons, Seun van Dawid.” **28** Nadat hy in die huis ingegaan het, het die blinde mans na hom toe gekom, en Jesus het vir hulle gevra: “Glo julle dat ek dit kan doen?”^g Hulle het hom geantwoord: “Ja, Here.” **29** Toe het hy aan hulle oë geraak^h en gesê: “Laat dit gebeur volgens julle geloof.” **30** En hulle oë is geopen. En Jesus het hulle streng gewaarsku en gesê: “Maak seker dat niemand hiervan uitvind nie.”ⁱ **31** Maar nadat hulle buitentoe gegaan het, het hulle die nuus omtrent hom in daardie hele gebied vertel.

32 Toe hulle weggegaan het, het mense ’n man na hom toe gebring wat stom was en wat ’n demon in hom gehad het,^j **33** en nadat die demon uitgedryf is, het die man wat stom was, gepraat.^k Die skare was verbaas en het gesê: “So iets is nog nooit in Israel gesien nie.”^l **34** Maar die Fariseërs het gesê: “Dit is deur die heerser van die demone dat hy die demone uitdryf.”^m

35 En Jesus het op ’n reis gegaan deur al die stede en dorpiens en mense in hulle sinagoge geleer en die goeie nuus

9:18 *Of “voor hom neergebuig”.

van die Koninkryk verkondig en elke soort siekte en elke soort kwaal genees.^a **36** Toe hy die skare sien, het hy baie jammer vir hulle gevoel,^b want hulle was verwaarloos en sleg behandel,* soos skape sonder 'n herder.^c **37** Toe het hy vir sy dissipels gesê: "Ja, die oes is groot, maar die werkers is min."^d **38** Smeek dus die Meester van die oes om werkers in sy oes uit te stuur."^e

10 Toe het hy sy 12 dissipels na hom toe geroep en vir hulle gesag oor onrein geeste gegee,^f om hulle uit te dryf en om elke soort siekte en elke soort kwaal te genees.

2 Hier volg die name van die 12 apostels:^g Eerstens, Simon, wat Petrus genoem word,^h en sy broer Andre'as,ⁱ Jakobus, die seun van Sebede'us, en sy broer Johannes,^j **3** Filippus en Bartolome'us,^k Tomas' en Matte'us,^m die belastinggaarder,* Jakobus, die seun van Alfe'us, en Tade'us, **4** Simon, die Kananeër,* en Judas Iska'riot, wat hom later verrai het.ⁿ

5 Jesus het hierdie 12 uitgestuur en hulle die volgende instruksies gegee:^o "Moenie afdraai en 'n pad volg wat na die nasies lei nie, en moenie in enige Samaritaanse stad ingaan nie,^p **6** maar hou eerder aan om na die verlore skape van die huis van Israel te gaan.^q **7** Gaan preek en sê: 'Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.'^r **8** Genees siek mense,^s wek dooies op, maak melaatses rein, dryf demone uit. Julle het verniet ontvang, verniet moet julle gee. **9** Moenie goud of silwer of koper in julle geldsakke saamvat nie,^t **10** en moenie 'n

9:36 *Lett. "gestroop en rondgegooi". 10:3 *Iemand wat belasting vir die regering invorder. 10:4 *Of "die ywerige".

HFST. 9

- a Mt 4:23
- b Mt 14:14
Heb 4:15
- c Nu 27:16, 17
1Kn 22:17
Ese 34:5
Mr 6:34
- d Lu 10:2
Joh 4:35
- e Ro 10:14

HFST. 10

- f Mr 3:14, 15
Mr 6:7
Lu 9:1, 2
- g Mr 3:16-19
Lu 6:13-16
Han 1:13
- h Joh 1:42
Han 15:14
- i Mr 1:16
Joh 1:40
- j Mt 4:21
- k Joh 1:45
- l Joh 11:16
Joh 20:27
- m Mr 2:14
Lu 5:27
- n Mt 26:47
Joh 13:18
- o Mr 6:7
Lu 9:1, 2
- p 2Kn 17:24
- q Jes 53:6
Ese 34:6
Han 13:45, 46
- r Mt 4:17
Lu 10:9
- s Lu 9:2
- t Mr 6:8, 9

Tweede kol.

- a Lu 9:3
- b Lu 10:7
1Kor 9:7, 14
- c Mr 6:10
Lu 9:4
- d Lu 10:5
- e Mr 6:11
Lu 9:5
Lu 10:6, 11
Han 13:50, 51
- f Ge 19:4, 5
2Pe 2:6
Jud 7
- g Flp 2:14, 15
- h Mt 24:9
- i Mt 23:34
Mr 13:9
Lu 21:12, 13
Han 5:40
2Kor 11:24
- j Han 4:8
Han 24:10
Han 25:23
Han 26:25
Han 27:23, 24
- k Mt 24:14
- l Mr 13:11
Lu 12:11, 12
Lu 21:14, 15
- m Joh 14:26

voedselsak vir die reis of twee kledingstukke* of sandale of 'n staf saamvat nie,^a want die werker verdien om sy kos te ontvang.^b

11 "As julle in 'n stad of dorpie ingaan, moet julle die mense daar soek wat julle boodskap waardig is, en bly daar totdat julle vertrek.^c **12** Wanneer julle in die huis ingaan, groet die huismense. **13** As die huis julle boodskap waardig is, laat die vrede wat julle dit toewens, daaroor kom,^d maar as dit nie julle boodskap waardig is nie, laat julle vrede na julle toe terugkeer. **14** En waar iemand julle nie ontvang of nie na julle woorde luister nie, moet julle die stof van julle voete afskud wanneer julle uit daardie huis of daardie stad uitgaan.^e **15** Ek verseker julle: Dit sal op die Oordeelsdag beter gaan met die land van Sodom en Gomorra'f as met daardie stad.

16 "Kyk! Ek stuur julle uit soos skape onder wolwe. Wees dus versigtig soos slange en tog onskuldig soos duiwes.^g **17** Julle moet oppas, want mense sal julle aan plaaslike howe oorlewer,^h en hulle sal julle in hulle sinagoges met gésels* slaan.ⁱ **18** Julle sal voor goewerneys en konings gebring word^j ter wille van my, as 'n getuienis vir hulle en die nasies.^k **19** Maar wanneer hulle julle oorlewer, moet julle nie bekommerd wees oor wat julle moet sê of hoe julle dit moet sê nie, want wat julle moet sê, sal op daardie tyd aan julle gegee word,^l **20** want dit is nie net julle wat praat nie, maar dit is die gees van julle Vader wat deur julle praat.^m **21** Verder sal die een broer die

10:10 *Of "ekstra klere". 10:17 *Sien Woordelys.

ander broer aan die dood oorlewer, en 'n pa sy kind, en kinders sal teen ouers opstaan en hulle laat doodmaak.^a **22** En julle sal deur alle mense gehaat word as gevolg van my naam,^b maar die een wat tot die einde toe volhard, sal gered word.^c **23** Wanneer hulle julle in een stad vervolg, vlug na 'n ander,^d want ek verseker julle dat julle beslis nie die kring van die stede van Israel sal voltooi voordat die Seun van die mens kom nie.

24 "n Leerling is nie bo sy leermeester nie, en 'n slaaf is ook nie bo sy meester nie.^e **25** Die leerling moet tevrede daarmee wees om soos sy leermeester te word, en die slaaf soos sy meester.^f As mense die meester van die huis Beël'sebub* genoem het,^g hoeveel te meer sal hulle sy huismense so noem? **26** Moet dus nie vir hulle bang wees nie, want daar is niks wat bedek is wat nie openbaar gemaak sal word nie, en geen geheim wat nie bekend sal word nie.^h **27** Wat ek vir julle in die donker vertel, moet julle in die lig sê, en wat ek vir julle fluister, moet julle van die dakke af verkondig.ⁱ **28** En moenie dié vrees wat die liggaam doodmaak maar nie die siel* kan doodmaak nie.^j Vrees eerder die Een wat die siel so wel as die liggaam in Gehenna^k kan vernietig.^k **29** Twee mossies word vir 'n muntstuk van min waarde* verkoop, nie waar nie? Tog sal nie een van hulle op die grond val sonder dat julle Vader daarvan weet nie.^l **30** Maar selfs die hare op jul-

10:25 *n Naam vir Satan, die leier, of heerser, van die demone. **10:28** *Of "lewe", d.w.s. die vooruitsig op toekomstige lewe. **10:28, 38** *Sien Woordelys. **10:29** *Lett. "n assarion". Sien Aanh. B14.

- HFST. 10
- a Mi 7:6
Mt 10:36
- b Mt 24:9
Lu 21:17
Joh 15:21
- c Mt 24:13
Lu 21:19
Op 2:10
- d Mt 23:34
Han 8:1
- e Joh 15:20
- f 1Pe 2:21
- g Mt 12:24
Mr 3:22
Lu 11:15
Joh 8:48
- h Mr 4:22
Lu 8:17
- i Lu 12:3
- j Spr 29:25
Op 2:10
- k Lu 12:4, 5
Heb 10:31
- l Lu 12:6, 7

Tweede kol.

- a Mt 6:26
- b Ro 10:9
- c Lu 12:8, 9
Op 3:5
- d Mr 8:38
Lu 9:26
2Ti 2:12
- e Lu 12:51-53
- f Mi 7:6
- g Mt 19:29
Lu 14:26
- h Mt 16:24, 25
Mr 8:34, 35
Lu 9:23
Lu 14:27
- i Lu 17:33
Joh 12:25
- j Mt 25:40
Lu 10:16
Joh 12:44
Joh 13:20
- k 1Kn 17:9, 10
1Kn 17:20-23
2Kn 4:8
2Kn 4:13-17

le kop is almal getel. **31** Moet dus nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.^a

32 "As iemand dan voor mense sê dat hy my ken,^b sal ek voor my Vader wat in die hemel is, sê dat ek hom ook ken.^c **33** Maar as iemand voor mense sê dat hy my nie ken nie, sal ek voor my Vader wat in die hemel is, sê dat ek hom ook nie ken nie.^d **34** Moenie dink dat ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard.^e **35** Want ek het gekom om verdeeldheid te veroorsaak: 'n man teen sy pa, en 'n dogter teen haar ma, en 'n skoonogter teen haar skoonma.^f **36** Ja, 'n mens se eie familieleden* sal sy vyande wees. **37** Enigiemand wat meer geheg is aan sy pa of sy ma as aan my, verdien nie om my dissipel te wees nie, en enigiemand wat meer geheg is aan sy seun of sy dogter as aan my, verdien nie om my dissipel te wees nie.^g **38** En enigiemand wat nie sy folterpaal^h aanvaar en my volg nie, verdien nie om my dissipel te wees nie.^h **39** Enigiemand wat sy lewe* probeer red, sal dit verloor, en enigiemand wat sy lewe* ter wille van my verloor, sal dit vind.ⁱ

40 "Enigiemand wat julle ontvang, ontvang my ook, en enigiemand wat my ontvang, ontvang ook die Een wat my gestuur het.^j **41** Enigiemand wat 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning kry,^k en enigiemand wat 'n regverdige man ontvang omdat hy 'n regverdige man is, sal 'n regverdige man se beloning kry. **42** En ek verseker julle dat enigiemand wat een van hierdie

10:36 *Of "huismense". **10:39** *Of "siel".

kleintjies net 'n beker koue water gee om te drink omdat hy 'n dissipel is, sy beloning beslis nie sal verloor nie.^a

11 Nadat Jesus vir sy 12 dissipels instruksies gegee het, het hy daarvandaan vertrek om in hulle stede te leer en te preek.^b

2 Maar Johannes, wat in die tronk^c gehoor het van die Christus se werke, het sy dissipels gestuur^d **3** om vir hom te vra: "Is u die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?"^e **4** Jesus het vir hulle gesê: "Gaan sê vir Johannes wat julle hoor en sien.^f **5** Die blindes kan nou sien,^g die kreupeles loop, die melaatses^h word genees,^{*} die dowes hoor, die dooies word opgewek en die armes word van die goeie nuus vertel.ⁱ **6** Gelukkig is die een wat geen rede vind om te struikel as gevolg van my nie."^j

7 Toe hulle vertrek, het Jesus met die skare oor Johannes begin praat en gesê: "Waarom wou julle in die wildernis gaan kyk?^k 'n Riet wat deur die wind heen en weer gewaai word?^l **8** Waarna wou julle gaan kyk? 'n Man wat sakte* klere dra? Dié wat sakte klere dra, is in paleise.[#] **9** Hoekom het julle nou eintlik uitgegaan? Om 'n profeet te sien? Ja, sê ek vir julle, en baie meer as 'n profeet.^m **10** Dit is die een oor wie daar geskryf is: 'Kyk! Ek stuur my boodskapper voor jou uit, wat jou weg vir jou sal voorberei!ⁿ **11** Ek verseker julle: Van almal wat al gebore is, is daar niemand groter as Johannes die Doper nie. Tog is die persoon wat die kleinste in die Koninkryk van die hemel is, groter as

11:5 *Lett. "gereinig". 11:8 *Of "die beste". #Lett. "huise van konings".

HFST. 10

a Mt 25:40
Mr 9:41
Heb 6:10

HFST. 11

b Mt 4:23
Mt 19:1
Lu 9:6

c Mt 14:3
Mr 6:17

d Lu 7:18-23

e Mt 3:11
Joh 1:15

f Lu 7:22

g Jes 35:5, 6
Jes 61:1

h Mt 8:3

i Mt 4:23

j Mr 6:3
Lu 7:23
1Kor 1:23
1Pe 2:7, 8

k Mt 3:1, 5

l Lu 7:24-28

m Lu 1:67, 76

n Mal 3:1
Mt 3:3
Mr 1:2
Lu 1:17
Joh 3:28

Tweede kol.

a Lu 7:28
Joh 3:3

b Lu 13:24

c Lu 16:16

d Mal 4:5
Mt 17:10-13

e Lu 7:31-35

f Mt 9:10
Mr 2:15
Joh 2:2

g Lu 5:30
Lu 15:2
Lu 19:7

h Lu 7:34, 35

i Jon 3:5, 6
Lu 10:13

j Lu 10:14

k Lu 4:31

hy.^a **12** Van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe is die Koninkryk van die hemel die doel wat mense nastreef, en die mense wat dit nastreef, gryp dit aan.^b **13** Want tot Johannes se tyd toe het al die boeke van die profete en die Wet gefrofeteer,^c **14** en as julle bereid is om dit te aanvaar: Hy is 'Eli'a wat sou kom'.^d **15** Laat die een wat ore het, luister.

16 "Met wie sal ek hierdie geslag vergelyk?^e Dit is soos jong kinders wat op die markplein sit en na hulle speelmaats roep **17** en sê: 'Ons het vir julle op die fluit gespeel, maar julle het nie gedans nie. Ons het 'n treurlied gesing, maar julle het nie gehuil nie.' **18** Net so het Johannes gekom en nie geëet of gedrink nie, maar mense sê: 'Hy het 'n demoon.' **19** Die Seun van die mens het gekom en het wel geëet en gedrink,^f maar mense sê: 'Kyk! 'n Vraat en iemand wat aan wyn verslaaf is, 'n vriend van belastinggaars* en sondaars.'^g Maar wysheid word reg bewys deur sy resultate."^h

20 Toe het hy die stede waarin die meeste van sy kragtige werke plaasgevind het, begin veroordeel omdat hulle nie berou gehad het nie. Hy het gesê: **21** "Dit sal sleg gaan met jou, Go'rasin! Dit sal sleg gaan met jou, Betsai'da! Want as die kragtige werke wat in julle plaasgevind het, in Tirus en Sidon plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as berou getoon het.ⁱ **22** Maar ek sê vir julle dat dit op die Oordeelsdag beter sal gaan met Tirus en Sidon as met julle.^j **23** En jy, Kaper'naum,^k sal jy miskien

11:19 *Persone wat belasting vir die regering invoer. #Of "geregverdig deur sy werke".

hoog opgelig word tot in die hemel? Jy sal afkom na die Graf* toe,^a want as die kragtige werke wat in jou plaasgevind het, in Sodom plaasgevind het, sou dit tot vandag toe bly staan het. **24** Maar ek sê vir julle dat dit op die Oordeelsdag beter sal gaan met die land van Sodom as met julle.”^b

25 In daardie tyd het Jesus gesê: “Ek loof u in die openbaar, Vader, Here van hemel en aarde, omdat u hierdie dinge vir die wyse en geleerde* mense weggesteek het en dit aan jong kinders geopenbaar het.^c **26** Ja, o Vader, want u het goedgekeur dat dit op hierdie manier gebeur. **27** My Vader het alles aan my oorgegee,^d en niemand ken die Seun ten volle nie, behalwe die Vader,^e en niemand ken die Vader ten volle nie, behalwe die Seun en enigeen aan wie die Seun bereid is om hom te openbaar.^f **28** Kom na my toe, almal wat uitgeput is en ’n swaar las dra, en ek sal julle nuwe krag gee. **29** Neem my juk op julle en leer by my, want ek is saggeaard en nederig van hart,^g en julle sal nuwe krag kry. **30** Want my juk is maklik om te dra,* en my vraag is lig.”

12 In daardie tyd het Jesus op die Sabbat deur die graanlande geloop. Sy dissipels het honger geword en het graanare begin pluk en dit geëet.^h **2** Toe die Fariseërs dit sien, het hulle vir hom gesê: “Kyk! Jou dissipels doen iets wat ’n mens nie op die Sabbat mag doen nie.”ⁱ **3** Hy het vir hulle gesê: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en die manne by hom hon-

HFST. 11
a Lu 10:15
b Mt 10:15
Lu 10:12
c Jes 29:14
Mt 13:15
Lu 10:21
1Kor 1:27

d Joh 3:35
e Joh 1:18
f Lu 10:22
Joh 10:15
1Jo 5:20
g Sag 9:9

HFST. 12
h Eks 12:16
De 23:25
Mr 2:23-28
Lu 6:1-5
i Eks 20:10
Eks 31:15
De 5:14

Tweede kol.

a 1Sa 21:1-6
b Eks 25:30
Eks 40:22, 23
c Le 24:5-9
d Nu 28:9
Joh 7:22
e Lu 11:31, 32
f Ho 6:6
Mi 6:6, 8
Mt 9:13
Mt 23:23
g Mr 2:27, 28
Lu 6:5
h Mr 3:1-6
Lu 6:6-11
i Lu 14:3
Joh 9:16
j Eks 23:4
De 22:4
Lu 14:5
k Mr 3:7

l Mt 8:3, 4
Mr 3:11, 12
Mr 7:35, 36

ger was nie?^a **4** Hy het in die huis van God ingegaan, en hy en die manne by hom het die offerbrode* geëet,^b al was net die priesters toegelaat om daarvan te eet.^c **5** Of het julle nie in die Wet gelees dat die priesters wat op die Sabbatte in die tempel dien, die Sabbat ontheilig en tog onskuldig bly nie?^d **6** Maar ek sê vir julle dat iets groter as die tempel hier is.^e **7** As julle egter verstaan het wat die volgende beteken: ‘Ek wil hê dat julle genade moet betoon, nie dat julle offerandes bring nie,’^f sou julle nie die onskuldiges veroordeel het nie. **8** Want die Seun van die mens is Here van die Sabbat.”^g

9 Nadat hy daarvandaan vertrek het, het hy in hulle sinagoge ingegaan, **10** en daar was ’n man met ’n misvormde* hand.^h Omdat hulle ’n rede gesoek het om Jesus te beskuldig, het hulle hom gevra: “Mag ’n mens iemand op die Sabbat genees?”ⁱ **11** Hy het vir hulle gesê: “As iemand onder julle een skaap het en daardie skaap op die Sabbat in ’n put val, sal hy dit dan nie gaan uithaal nie?”^j **12** Hoeveel meer is ’n mens tog werd as ’n skaap! ’n Mens mag dus iets goeds op die Sabbat doen.” **13** Toe het hy vir die man gesê: “Steek jou hand uit.” En hy het dit gedoen, en dit het gesond geword, net soos die ander hand. **14** Maar die Fariseërs het uitgegaan en planne beraam om hom dood te maak. **15** Toe Jesus daarvan uitvind, het hy daarvandaan vertrek. Baie het hom gevolg,^k en hy het hulle almal genees, **16** maar hy het hulle streng beveel om nie bekend te maak wie hy is nie,^l **17** sodat vervul sou word wat deur mid-

11:23 *Of “Hades”. Sien Woordelys. 11:25 *Lett. “intellektuele”. 11:30 *Of “is sag”.

12:4 *Of “die aanbiedingsbrode”. 12:10 *Of “verlamde”.

del van die profeet Jesaja gesê is:

18 "Kyk! My kneg^a wat ek uitgekies het, my geliefde, wat ek* goedgekeur het!^b Ek sal my gees op hom plaas,^c en hy sal aan die nasies duidelik maak wat geregtigheid is. **19** Hy sal nie met mense stry^d of hard uitroep nie, en niemand sal sy stem in die hoofstrate hoor nie. **20** Hy sal nie 'n beskadigde riet afbreek of 'n lampfit wat dof brand, uitdoof nie,^e totdat hy geregtigheid bring. **21** Ja, nasies sal op sy naam hoop."^f

22 Toe het hulle 'n man na hom toe gebring. Die man het 'n demoon in hom gehad, en hy was ook blind en stom. Jesus het hom genees, en toe kon die stom man praat en sien.

23 Die hele skare was baie verbaas en het begin vra: "Is hy nie miskien die Seun van Dawid nie?" **24** Toe die Fariseërs dit hoor, het hulle gesê: "Hierdie man dryf die demone uit slegs deur Beël'sebub,* die heerser van die demone."^g **25** Omdat hy geweet het wat hulle dink, het hy vir hulle gesê: "Elke koninkryk wat verdeeld is, word verwoes, en elke stad of huis wat verdeeld is, sal nie bly staan nie. **26** Net so, as Satan Satan uitdryf, het hy teen homself gedraai. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan? **27** En as ek die demone deur Beël'sebub uitdryf, deur wie dryf julle volgelinge hulle uit? Daarom sal hulle julle veroordeel. **28** Maar as dit deur God se gees is dat ek die demone uitdryf, het die Koninkryk van God julle werklik ingehaal.^h **29** Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man inkom en sy besittings vat as hy nie die sterk man eers vooraf

12:18 *Of "my siel". 12:24 *'n Naam vir Satan.

HFST. 12

a Han 3:13

b Mt 3:17
Mt 17:5

c Jes 61:1
Mr 1:10

d 2Ti 2:24

e Mt 11:28

f Jes 11:10
Jes 42:1-4
Han 4:12

g Mr 3:22-27
Lu 11:15-23

h Lu 11:20

Tweede kol.

a Mr 9:40
Lu 9:50
Lu 11:23

b Mr 3:28, 29
Han 7:51
Heb 6:4, 6

c 1Ti 1:13

d Lu 12:10
Heb 10:26

e Mt 7:17
Lu 6:43

f Mt 3:7
Mt 23:33

g Mt 15:11

h Lu 6:45
Jak 3:6

i Pr 12:14
Ro 14:12

j Mt 16:1

vasbind nie? Slegs dan kan hy alles in sy huis vat. **30** Enigiemand wat nie aan my kant is nie, is teen my, en enigiemand wat nie mense saam met my bymekaarmaak nie, dryf hulle uitmekaar.^a

31 "Daarom sê ek vir julle: Mense sal vergewe word vir elke soort sonde en lastering, maar as iemand teen die gees laster, sal hy nie vergewe word nie.^b

32 Byvoorbeeld, as iemand iets teen die Seun van die mens sê, sal hy vergewe word,^c maar as iemand iets teen die heilige gees sê, sal hy nie vergewe word nie, nee, nie in hierdie tydperk* of in die een wat kom nie.^d

33 "Julle boom sal goed wees en goeie vrugte dra, of julle boom sal sleg wees en slegte vrugte dra, want die boom word aan sy vrugte geken.^e **34** Julle spul giftige slange,^{*f} hoe kan julle goeie dinge sê terwyl julle goddeloos is? Want uit die oorfloed van die hart praat die mond.^g **35** Die goeie mens bring goeie dinge uit sy goeie skat, terwyl die goddelose mens goddelose dinge uit sy goddelose skat bring.^h **36** Ek sê vir julle dat mense op die Oordeelsdag verantwoordelik gehou sal wordⁱ vir elke nuttelose woord wat hulle sê, **37** want deur jou woorde sal jy regverdig verklaar word, en deur jou woorde sal jy veroordeel word."

38 Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs het hom toe geantwoord en gesê: "Leermeester, laat ons 'n teken sien."^j

39 Hy het hulle geantwoord en gesê: "'n Goddelose en ontroue* geslag hou aan om 'n teken te soek, maar geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe

12:32 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys. 12:34 *Of "Addergebroedsel". 12:39 *Of "owerspelige".

die teken van die profeet Jona.^a **40** Want net soos Jona drie dae en drie nagte in die groot vis se maag was,^b so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.^c

41 Die Nineviete sal in die oordeel saam met hierdie geslag opstaan en sal hulle veroordeel, want die Nineviete het berou gehad as gevolg van wat Jona verkondig het.^d Maar kyk! iemand groter as Jona is hier.^e **42** Die koningin van die suide sal in die oordeel saam met hierdie geslag 'n opstanding kry en sal hulle veroordeel, want sy het van die eindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor.^f Maar kyk! iemand groter as Salomo is hier.^g

43 "Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens uitkom, trek hy deur waterlose plekke op soek na 'n rusplek, maar hy vind nie een nie.^h **44** Dan sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis waaruit ek getrek het,' en wanneer hy daar aankom, sien hy dat die huis leeg staan en skoongevee en versier is. **45** Dan gaan hy en neem hy sewe ander geeste saam met hom wat nog slegter as hy is, en nadat hulle ingegaan het, bly hulle daar. Die uiteinde vir daardie mens is dan erger as sy begin.ⁱ Só sal dit ook met hierdie goddelose geslag gaan."

46 Terwyl hy nog met die skare gepraat het, het sy ma en broers^j buite gestaan omdat hulle met hom wou praat.^k **47** En iemand het vir hom gesê: "Kyk! U ma en u broers staan buite en wil met u praat." **48** Toe het hy vir die persoon wat met hom gepraat het, gevra: "Wie is my ma, en wie is my broers?" **49** En hy het sy hand na sy dissipels uitgesteek en gesê: "Kyk! Hier is my ma en my broers!" **50** Want elkeen wat die wil

HFST. 12

a Mt 16:4
Lu 11:29-32

b Jon 1:17

c Mt 16:21
Mt 17:23
Mt 27:63
Lu 24:46

d Jon 3:5

e Lu 11:30

f 1Kn 10:1
2Kr 9:1

g Mt 12:6
Lu 11:31

h Lu 11:24-26

i Heb 6:4, 6
2Pe 2:20

j Mt 13:55
Joh 2:12
Han 1:14
1Kor 9:5
Ga 1:19

k Mr 3:31-35

l Joh 20:17
Heb 2:11

Tweede kol.

a Mr 3:35
Lu 8:21

HFST. 13

b Mr 4:1

c Mt 13:34

d Mr 4:3-9
Lu 8:4-8

e Mt 13:19

f Mt 13:20, 21

g Mt 13:22
Mr 4:18, 19
Lu 8:14

h Mt 13:23
Mr 4:8
Lu 8:8

i Mt 11:15

j Mr 4:10, 11
Lu 8:9, 10

k 1Kor 2:9, 10
Ef 1:9-12
Kol 1:26, 27

l Mt 25:29
Mr 4:25
Lu 8:18

doen van my Vader wat in die hemel is, is my broer en suster en ma."^a

13 Op daardie dag het Jesus die huis verlaat en by die see gesit. **2** Daar het so 'n groot groep mense om hom bymekaargekom dat hy in 'n boot geklim het en gaan sit het, terwyl die hele skare op die strand gestaan het.^b **3** Toe het hy hulle baie dinge deur illustrasies^c vertel en gesê: "'n Saaier het uitgegaan om te saai.^d **4** Terwyl hy gesaai het, het van die saad langs die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgeëet.^e **5** Ander saad het op 'n rotsagtige plek geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het onmiddellik opgeskiet omdat die grond nie diep was nie.^f **6** Maar toe die son opkom, is dit verskroei, en omdat dit nie wortels gehad het nie, het dit uitgedroog. **7** Nog ander saad het tussen die dorings geval, en die dorings het opgekom en gekeer dat dit verder groei.^g **8** En ander saad het op die goeie grond geval, en dit het vrug begin dra: hierdie een 100 keer soveel, daardie een 60 keer soveel en die ander een 30 keer soveel.^h **9** Laat die een wat ore het, luister."ⁱ

10 Toe het die dissipels gekom en vir hom gevra: "Hoe kom praat u met hulle deur middel van illustrasies?"^j **11** Hy het vir hulle gesê: "Julle het die voorreg ontvang om die heilige geheime^k van die Koninkryk van die hemel te verstaan, maar hulle het nie daardie voorreg ontvang nie. **12** Want aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal 'n oorvloed hê, maar van elkeen wat nie het nie, sal selfs wat hy het, weggenem word.^l **13** Daarom praat ek deur middel van illustrasies

met hulle, want hulle kyk, maar hulle kyk verniet, en hulle hoor, maar hulle hoor verniet, en hulle verstaan ook nie die betekenis daarvan nie.^a **14** Jesaja se profesie word in hulle geval vervul. Dit sê: 'Julle sal beslis hoor, maar glad nie die betekenis daarvan verstaan nie, en julle sal beslis kyk, maar glad nie sien nie.^b **15** Want die hart van hierdie volk het ongevoelig geword, en met hulle ore het hulle gehoor sonder om te reageer, en hulle het hulle oë toegemaak. Daarom sal hulle nooit met hulle oë sien en met hulle ore hoor en met hulle hart die betekenis daarvan verstaan en terugdraai en deur my genees word nie.'^c

16 "Maar gelukkig is julle oë omdat hulle sien, en julle ore omdat hulle hoor.^d **17** Want ek verseker julle: Baie profete en regverdiges wou graag die dinge sien wat julle sien, maar hulle het dit nie gesien nie, en hulle wou die dinge hoor wat julle hoor,^e maar hulle het dit nie gehoor nie.

18 "Luister nou na die illustrasie van die man wat gesaai het.^f **19** Wanneer iemand die woord van die Koninkryk hoor, maar nie die betekenis daarvan verstaan nie, kom die Duivel^g en neem hy weg wat in sy hart gesaai is. Dit is die saad wat langs die pad gesaai is.^h **20** Die saad wat op rotsagtige grond gesaai is, is die een wat die woord hoor en dit dadelik met vreugde aanvaar.ⁱ **21** Tog het hy nie wortelgeskiet nie, maar hy bly 'n ruk lank, en wanneer daar weens die woord verdrukking of vervolging ontstaan, struikel hy dadelik. **22** Die saad wat tussen die dorings gesaai is, is die een wat die woord hoor. Maar die

HFST. 13

a Jes 6:10
Mr 4:12b Joh 12:40
Ro 11:8
2Kor 3:14c Jes 6:9,10
Mr 4:12
Han 28:26, 27

d Lu 10:23, 24

e Joh 8:56
Ef 3:5
1Pe 1:10f Mr 4:14
Lu 8:11

g 1Pe 5:8

h Mr 4:15
Lu 8:12i Mr 4:16, 17
Lu 8:13

Tweede kol.

a Lu 12:22

b Mt 6:21
Mr 4:18, 19
Mr 10:23
Lu 8:14
1Ti 6:9
2Ti 4:10c Mr 4:20
Lu 8:15

d Mt 13:38, 39

e Op 14:15

f Mr 4:30-32
Lu 13:18, 19

bekommernisse van hierdie wêreld^a en die bedrieglike krag van rykdom keer dat die woord verder groei, en dit word onvrugbaar.^b **23** Die saad wat op die goeie grond gesaai is, is die een wat die woord hoor en die betekenis daarvan verstaan. So iemand dra werklik vrug: hierdie een 100 keer soveel, daardie een 60 keer soveel en die ander een 30 keer soveel."^c

24 Hy het vir hulle nog 'n illustrasie vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n man wat goeie saad in sy landery gesaai het. **25** Terwyl die mense geslaap het, het sy vyand gekom en onkruid tussen die koring gesaai en weggegaan. **26** Toe die stingels uitspruit en vrug begin dra, het die onkruid ook opgekom. **27** En die slawe van die meester van die huis het gekom en vir hom gevra: 'Meester, het u nie goeie saad in u landery gesaai nie? Hoekom is daar dan onkruid?' **28** Hy het vir hulle gesê: 'n Vyand, 'n mens, het dit gedoen.'^d Die slawe het vir hom gevra: 'Wil u hê dat ons moet uitgaan en dit bymekaarmaak?' **29** Hy het gesê: 'Nee, want net nou trek julle die koring ook uit terwyl julle die onkruid bymekaarmaak. **30** Laat al twee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir dié wat die oes insamel, sê: "Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, en maak dan die koring in my voorraadskuur bymekaar.'"^e

31 Hy het vir hulle nog 'n illustrasie vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat 'n man in sy landery geplant het.'^f **32** Dit is in werklikheid die kleinste van

13:22 *Of "stelsel van dinge". Sien Worddelys.

al die sade, maar wanneer dit gegroei het, is dit die grootste van die groentesoorte en word dit 'n boom. Dan kom die voëls van die hemel en vind hulle blyplek tussen sy takke.”

33 Hy het vir hulle nog 'n illustrasie vertel: “Die Koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou geneem en met drie groot mate meel gemeng het, totdat al die deeg gegis het.”^a

34 Al hierdie dinge het Jesus deur illustrasies vir die skare gesê. Ja, sonder 'n illustrasie het hy nie met hulle gepraat nie,^b **35** sodat vervul sou word wat deur middel van die profeet gesê is: “Ek sal my mond oopmaak met illustrasies. Ek sal dinge verkondig wat van die begin* af geheim gehou is.”^c

36 Nadat hy die skare weggestuur het, het hy in die huis ingegaan. Sy dissipels het na hom toe gekom en gesê: “Verduidelik aan ons die illustrasie van die onkruid in die landery.” **37** Hy het geantwoord en gesê: “Die saaiër van die goeie saad is die Seun van die mens, **38** en die landery is die wêreld.^d Die goeie saad is die kinders van die Koninkryk, maar die onkruid is die kinders van die Duiwel,^e **39** en die vyand wat dit gesaai het, is die Duiwel. Die oes verwys na die tyd van die einde,* en dié wat die oes insamel, is engele. **40** Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit in die tyd van die einde* wees.^f **41** Die Seun van die mens sal sy engele stuur,

13:35 *Of moontlik “die begin van die mensdom; die grondlegging van die wêreld”. 13:38 *Lett. “die Bose”. 13:39 *Of “n voleinding van 'n stelsel van dinge”. Sien Woordelys. 13:40, 49 *Of “in die voleinding van die stelsel van dinge”. Sien Woordelys.

HFST. 13
a Lu 13:21

b Mr 4:33, 34

c Ps 78:2

d Mt 24:14
Ro 10:18
Kol 1:6

e Joh 8:44

f Mt 13:30

Tweede kol.

a Mt 13:30

b Rig 5:31

c Flp 3:7

d Flp 3:8

e Le 11:9

f Le 11:12

en hulle sal alle struikelblokke en wettelose mense bymekaarmaak en hulle uit sy Koninkryk verwyder, **42** en hulle sal hulle in die vuurood gooi.^a Daar sal hulle huil en op hulle tande kners. **43** In daardie tyd sal die regverdiges so helder soos die son skyn^b in die Koninkryk van hulle Vader. Laat die een wat ore het, luister.

44 “Die Koninkryk van die hemel is soos 'n skat wat in die veld weggesteek is, wat 'n man gevind en weggesteek het. Hy was so bly dat hy al sy besittings gaan verkoop het en daardie veld gekoop het.”^c

45 “Die Koninkryk van die hemel is ook soos 'n reisende handelaar wat mooi pêrels soek. **46** Toe hy een pêrel van groot waarde vind, het hy weggegaan en dadelik alles verkoop wat hy gehad het en dit gekoop.”^d

47 “Die Koninkryk van die hemel is ook soos 'n sleepnet wat in die see laat sak word en allerhande soorte vis versamel. **48** Toe dit vol was, het hulle dit op die strand uitgesleep, en hulle het gaan sit en die goeie vis^e in mandjies bymekaargemaak, maar hulle het die vis wat hulle nie kon gebruik nie,^f weggegooi. **49** Só sal dit in die tyd van die einde* wees. Die engele sal uitgaan en die goddeloses van die regverdiges skei **50** en hulle in die vuurood gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

51 “Verstaan julle wat al hierdie dinge beteken?” Hulle het vir hom gesê: “Ja.” **52** Toe het hy vir hulle gesê: “In dié geval is elke openbare onderrigter wat van die Koninkryk van die hemel geleer word, soos 'n man, die meester van die huis, wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer bring.”

53 Toe Jesus hierdie illustrasies klaar vertel het, het hy

daarvandaan vertrek. **54** Nadat hy in sy tuisgebied gekom het,^a het hy hulle in hulle sinagoge begin leer. Hulle was verstom en het gevra: "Waar het hierdie man hierdie wysheid gekry, en hoe doen hy hierdie kragtige werke?"^b **55** Is hy nie die timmerman se seun nie?^c Is sy ma se naam nie Maria en sy broers se name Jakobus en Josef en Simon en Judas nie?^d **56** En is sy susters nie almal by ons nie? Waar het hy sy wysheid gekry, en hoe doen hy al hierdie dinge?"^e **57** Hulle het begin struikel* as gevolg van hom.^f Maar Jesus het vir hulle gesê: "n Profet word oral geëer, behalwe in sy tuisgebied en in sy eie huis."^g **58** En weens hulle gebrek aan geloof het hy min kragtige werke daar gedoen.

14 Toe het Herodes, die distriksheerser,* die nuus oor Jesus gehoor^h **2** en vir sy knegte gesê: "Dit is Johannes die Doper. Hy is uit die dood opgewek, en daarom kan hy hierdie kragtige werke doen."ⁱ **3** Herodes* het Johannes vroeër gearrester en hom geboei en hom in die tronk gesit weens Hero'dias, die vrou van sy broer Filippus.^j **4** Want Johannes het vir hom gesê: "U mag haar nie as vrou hê nie."^k **5** Maar al wou hy hom doodmaak, was hy bang vir die skare, omdat hulle geglo het dat hy 'n profet is.^l **6** Maar toe Herodes se verjaarsdag^m gevier is, het die dogter van Hero'dias by die geleentheid gedans, en Herodes het dit so genietⁿ **7** dat hy met 'n eed belowe het om vir haar enigiets te gee waarvoor sy vra. **8** Toe het sy, nadat haar ma haar opgesteek het,

13:57 *Of "aanstoot neem". **14:1** *Lett. "die tetrag". **14:3** *D.w.s. Herodes Antipas. Sien Woordelys.

HFST. 13

a Mt 2:23

b Mr 6:1-6

c Lu 4:22
Joh 6:42d Mt 12:46
Joh 2:12
Han 1:14
1Kor 9:5
Ga 1:19

e Joh 7:15

f 1Pe 2:7, 8

g Mr 6:4
Lu 4:24
Joh 4:44

HFST. 14

h Mr 6:14
Lu 9:7-9
Han 4:27i Mt 16:13, 14
Mr 6:16j Mr 6:17, 18
Lu 3:19, 20k Le 18:16
Le 20:21l Mr 6:20
Lu 1:67, 76

m Ge 40:20-22

n Mr 6:21-29

Tweede kol.

a Mr 6:25

b Mr 6:31-33
Lu 9:10c Mt 9:36
Mt 15:32
Mr 1:41
Mr 6:34
Lu 7:13
Heb 2:17
Heb 5:2

d Lu 9:11

e Mr 6:35-44
Lu 9:12-17
Joh 6:5-13f Mt 15:36
Mr 6:41
Lu 9:16

gesê: "Gee vir my die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord."^a **9** Al het dit die koning ontstel, het hy beveel dat dit gegee moet word as gevolg van die ede wat hy gesweer het en die mense wat saam met hom geëet het.* **10** Hy het toe iemand gestuur en Johannes se kop in die tronk laat afkap. **11** Sy kop is op 'n skinkbord gebring en vir die meisie gegee, en sy het dit na haar ma toe geneem. **12** Later het sy dissipels sy lyk kom haal en hom begrawe, en hulle het vir Jesus kom vertel. **13** Toe Jesus dit hoor, het hy met 'n boot daarvandaan vertrek en na 'n afgeleë plek gegaan om alleen te wees. Maar die skare het daarvan gehoor en hom te voet van die stede af gevolg.^b

14 Toe hy uit die boot klim, het hy 'n groot skare gesien, en hy het baie jammer vir hulle gevoel^c en die siek mense onder hulle genees.^d **15** Maar toe dit aand word, het sy dissipels na hom toe gekom en gesê: "Ons is op 'n afgeleë plek, en dit is al laat. Stuur die skare weg, sodat hulle in die dorpies kan ingaan en vir hulle kos kan koop om te eet."^e **16** Maar Jesus het vir hulle gesê: "Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet."^f **17** Hulle het vir hom gesê: "Ons het niks hier nie, behalwe vyf brode en twee visse."^g **18** Hy het gesê: "Bring dit na my toe."^h **19** Nadat hy vir die skare gesê het om op die gras te gaan sit, het hy die vyf brode en twee visse geneem, na die hemel opgekyk en gebid.ⁱ Hy het die brode gebreek en dit vir die dissipels gegee, en die dissipels het dit vir die skare gegee. **20** Toe het hulle almal geëet en versadig geword, en nadat hulle die oorskietstukke

14:9 *Of "aan tafel was".

opgetel het, was daar 12 mandjies vol.^a **21** Daar was omtrent 5 000 mans wat geëet het, sowel as vrouens en jong kinders.^b **22** Toe het hy sy dissipels dadelik in die boot laat klim en hulle voor hom uit na die oorkantste oewer laat gaan, terwyl hy die skare weggestuur het.^c

23 Nadat hy die skare weggestuur het, het hy alleen teen die berg opgegaan om te bid.^d Toe dit aand geword het, was hy alleen daar. **24** Die boot was toe al honderde meters* van die land af en is deur die golwe rondgegooi, want die wind was teen hulle. **25** Maar in die vierde nagwaak* het hy op die see na hulle toe aangeloop gekom. **26** Toe die dissipels hom op die see sien loop, was hulle geskok en het hulle gesê: "Dit is 'n verskyning!" En hulle het uitgeroep van vrees. **27** Maar Jesus het dadelik vir hulle gesê: "Bedaar! Dit is ek. Moenie bang wees nie."^e **28** Petrus het hom geantwoord: "Here, as dit u is, beveel my om oor die water na u toe te kom." **29** Hy het gesê: "Kom!" Toe het Petrus uit die boot geklim en oor die water geloop en na Jesus toe gegaan. **30** Maar toe hy na die windstorm kyk, het hy bang geword. En toe hy begin sink, het hy uitgeroep: "Here, red my!" **31** Jesus het onmiddellik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gevra: "Waar is jou geloof? Hoekom het jy begin twyfel?"^f **32** Nadat hulle in die boot geklim het, het die windstorm gaan lê. **33** Toe het dié in die boot aan hom eer bewys* en gesê: "U is werklik God se

14:24 *Lett. "baie stadieë". 'n Stadie was gelyk aan 185 m. 14:25 *D.w.s. van omtrent 03:00 tot sonsopkoms, wat omtrent 06:00 is. 14:33 *Of "voor hom neergebuig".

HFST. 14

a 2Kn 4:42-44
Mr 6:42, 43
Mr 8:8
Lu 9:17
Joh 6:12, 13

b Mr 6:44
Lu 9:14
Joh 6:10

c Mr 6:45-52
Joh 6:16-21

d Mr 6:46
Lu 6:12
Lu 9:18

e Mr 6:50
Joh 6:20

f Mt 6:30
Mt 8:26
Mt 28:16, 17
Jak 1:6

Tweede kol.

a Mr 6:53-56

b Mt 9:20, 21
Mr 3:10
Lu 6:19

HFST. 15

c Mr 7:1, 2

d Lu 11:38
Joh 2:6

e Mt 15:9
Mr 7:8-13
Kol 2:8

f Eks 20:12
De 5:16
Ef 6:2

g Eks 21:17
Le 20:9

h Mr 7:11, 12

i Mr 7:13

j Mr 7:6

k Jes 29:13
Mr 7:7

Seun." **34** En hulle het na die oorkant gegaan en in Genne'saret aan land gegaan.^a

35 Toe die manne van daardie plek hom herken, het hulle die nuus in daardie hele gebied versprei, en die mense het al die siekes na hom toe gebring. **36** En hulle het hom gesmeek om maar net aan die fraaiings van sy bo-kleed te kan raak,^b en almal wat daaraan geraak het, het heeltemal gesond geword.

15 Toe het daar Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem af na Jesus toe gekom^c en gesê: **2** "Hoekom oortree jou dissipels die tradisies van ons voorvaders? Want hulle was* nie hulle hande voordat hulle eet nie."^d

3 Hy het geantwoord en vir hulle gesê: "Hoekom oortree julle die gebod van God weens julle tradisies?"^e **4** God het byvoorbeeld gesê: 'Eer* jou pa en jou ma',^f en: 'Laat die persoon wat sy pa of ma beledig,^g doodgemaak word.'^g **5** Maar julle sê: 'As enigiemand vir sy pa of ma sê: "Alles wat ek het waarmee ek julle sou kon ondersteun, het ek as 'n gawe aan God belowe,'"^h **6** dan hoef hy sy pa glad nie te eer nie.' Só het julle die woord van God weens julle tradisies kragteloos gemaak.ⁱ **7** Julle skynheiliges, Jesaja was reg toe hy oor julle geprofeteer het:^j **8** 'Hierdie volk eer my met hulle lippe, maar hulle harte is ver van my af. **9** Dit is verniet dat hulle my bly aanbied, want hulle leer gebooië van mense as leerstellings.'^k **10** Toe het hy die skare nader geroep en vir hulle gesê: "Luister en verstaan die betekenis

15:2 *Verwys na 'n seremoniële reiniging. 15:4 *Of "Respekter". #Of "uitskel".

hiervan:^a **11** Dit is nie wat in 'n mens se mond ingaan wat hom onrein maak nie, maar dit is wat uit sy mond uitkom wat hom onrein maak.”^b

12 Toe het die dissipels gekom en vir hom gevra: “Weet u dat die Fariseërs gestruikel* het toe hulle hoor wat u sê?”^c

13 Hy het geantwoord: “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal met wortel en al uitgeruk word. **14** Los hulle. Hulle is blinde gidse. As een blinde man 'n ander blinde man lei, sal hulle albei in 'n gat val.”^d

15 Petrus het geantwoord: “Verduidelik die illustrasie aan ons.” **16** Toe het hy gesê: “Verstaan julle dit ook nog steeds nie?”^e **17** Besef julle nie dat alles wat in die mond ingaan, deur die maag gaan en in die riool beland nie? **18** Maar die dinge wat uit die mond uitkom, kom uit die hart, en hierdie dinge maak 'n mens onrein.”^f

19 Uit die hart kom daar byvoorbeeld goddelose redenasies:^g moord, egbreuk, seksuele onsedelikheid,* diefstal, valse getuienis en lastering. **20** Hierdie dinge maak 'n mens onrein, maar om met ongewaste hande* te eet, maak 'n mens nie onrein nie.”

21 Jesus het daarvandaan vertrek en toe na die gebied van Tirus en Sidon gegaan.^h **22** 'n Fenisiese vrou uit daardie gebied het gekom en uitgeroep: “Betoon genade aan my, Here, Seun van Dawid. My dogter het 'n demoon in haar, en sy ly verskriklik as gevolg daarvan.”ⁱ **23** Maar hy het haar nie geantwoord nie. Toe het sy dis-

15:12 *Of “aanstoot geneem”. 15:19 *Die meervoud van die Griekse woord *por-nei'a*. Sien Woordelys. 15:20 *Verwys na hande wat nie seremonieel gereinig is nie.

HFST. 15

a Mr 7:14

b Mr 7:15

Ef 4:29

Jak 3:6

c Mr 7:17

d Mt 23:15, 16

Lu 6:39

e Mr 7:18-23

f Mr 7:20

g Ge 8:21

Jer 17:9

h Mr 7:24

i Mr 7:25-30

Tweede kol.

a Jes 53:6

Mt 10:5, 6

Han 3:26

Han 13:46

Ro 15:8

b Mr 7:28

c Mr 7:31

d Jes 35:5

Mt 19:2

Mr 3:10

e Mt 9:33

f Mt 14:14

Mr 6:34

g Mr 8:1-9

h 2Kn 4:42-44

sipels gekom en vir hom begin sê: “Stuur haar weg, want sy roep die hele tyd agter ons aan.”

24 Hy het geantwoord: “Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.”^a

25 Maar die vrou het gekom en aan hom eer bewys* en gesê: “Here, help my!” **26** Hy het gesê: “Dit is nie reg om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie.” **27** Sy het gesê: “Ja, Here, maar die hondjies eet tog van die krummels wat van hulle eienaars se tafel afval.”^b **28** Toe het Jesus vir haar gesê: “Vrou, jou geloof is groot. Laat dit gebeur soos jy wil hê.” En haar dogter was van daardie uur af gesond.

29 Jesus het daarvandaan vertrek en naby die See van Galile'a gekom.^c Hy het teen die berg opgegaan en daar gaan sit.

30 Toe het groot groepe mense na hom toe gekom en hulle het kreupeles, verminktes, blindes, stommes en baie ander saamgebring, en hulle het hulle by sy voete neergelê, en hy het hulle genees.^d **31** Die mense was verbaas toe hulle sien dat die stommes praat en die verminktes gesond gemaak word en dat die kreupeles loop en die blindes sien, en hulle het die God van Israel geprys.^e

32 Maar Jesus het sy dissipels na hom toe geroep en gesê: “Ek voel baie jammer vir die skare,^f want hulle is nou al drie dae by my, en hulle het nog niks geëet nie. Ek wil hulle nie honger wegstuur nie, want hulle sal dalk op die pad flou word.”^g **33** Maar die dissipels het vir hom gevra: “Waar gaan ons op hierdie afgeleë plek genoeg brood kry vir so 'n groot skare?”^h **34** Toe het Jesus vir hulle gevra: “Hoeveel brode het

15:25 *Of “voor hom neergebuig”.

julle?" Hulle het gesê: "Sewe, en 'n paar vissies." **35** Nadat hy vir die skare gesê het om op die grond te gaan sit, **36** het hy die sewe brode en die visse geneem, en nadat hy 'n dankgebed gedoen het, het hy dit gebreek en dit vir die dissipels begin gee, en die dissipels het dit vir die skare gegee.^a **37** En almal het geëet en versadig geword, en die oorskietstukke wat hulle opgetel het, het sewe groot mandjies* vol gemaak.^b **38** Daar was 4 000 mans wat geëet het, sowel as vrouens en jong kinders. **39** Nadat hy die skare weggestuur het, het hy in die boot geklim en in die gebied van Ma'gadan gekom.^c

16 Hier het die Fariseërs en Sadduseërs na hom toe gekom, en om hom te toets, het hulle hom gevra om vir hulle 'n teken uit die hemel te gee.^d **2** Hy het vir hulle gesê: "Wanneer dit aand word, sê julle: 'Dit gaan mooiweer wees, want die lug is vuurrooi,' **3** en in die oggend: 'Dit gaan vandag koud en reënerig wees, want die lug is vuurrooi, maar bewolk.' Julle kan die weer voorspel deur na die lug te kyk, maar julle kan nie die tekens van die tye verstaan nie. **4** 'n Goddelose en ontroue* geslag hou aan om 'n teken te soek, maar geen teken sal aan hulle gegee word nie,^e behalwe die teken van Jona."^f Toe het hy hulle agtergelaat en weggegaan.

5 Die dissipels het na die oorkant gegaan en het vergeet om brood saam te vat.^g **6** Jesus het vir hulle gesê: "Hou julle oë oop en pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs."^h **7** Toe het hulle

15:37; 16:10 *Of "voorraadmandjies".
16:4 *Of "owerspelige".

HFST. 15
a Mt 14:19
b Mr 8:8, 9
c Mr 8:10

HFST. 16
d Mt 12:38
Mr 8:11
Lu 11:16
e Mr 8:12
f Jon 1:17
Mt 12:39
Lu 11:29
g Mr 8:13-21
h Mr 8:15
Lu 12:1

Tweede kol.

a Mt 14:17
b Mt 15:34
c Lu 12:1
d Mr 8:27-29
Lu 9:18-20
e Mt 14:1, 2
f Joh 1:25, 26
g Mr 8:29
Lu 9:20
Joh 1:40, 41
Joh 4:25
Joh 11:27
h Ps 2:7
Mt 14:33
Han 9:20, 22
Heb 1:2
1Jo 4:15
i Mt 11:27
j Joh 1:42

k Ro 9:33
1Kor 3:11
1Kor 10:4
Ef 2:20
1Pe 2:6-8

onder mekaar begin redeneer en gesê: "Ons het nie brood saamgebring nie." **8** Jesus het dit geweet en gesê: "Hoekom praat julle so onder mekaar oor die feit dat julle nie brood by julle het nie? Waar is julle geloof? **9** Verstaan julle nog nie waarom dit gaan nie? Of het julle vergeet van die vyf brode waarvan die 5 000 geëet het en hoeveel mandjies vol julle opgetel het?"^a **10** Of van die sewe brode waarvan die 4 000 geëet het en hoeveel groot mandjies* julle vol gemaak het?^b **11** Hoe is dit dat julle nie verstaan dat ek nie met julle oor brood gepraat het nie? Maar pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs."^c **12** Toe het hulle verstaan dat hy nie gesê het dat hulle moet oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs.

13 Toe Jesus in die gebied van Sesar'e-a-Filip'pi gekom het, het hy sy dissipels gevra: "Wie sê die mense is die Seun van die mens?"^d **14** Hulle het gesê: "Party sê Johannes die Doper,^e ander sê Eli'a,^f en nog ander sê Jeremia of een van die profete." **15** Hy het vir hulle gevra: "Maar julle, wie sê julle is ek?" **16** Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus,^g die Seun van die lewende God."^h **17** Jesus het hom geantwoord: "Gelukkig is jy, Simon seun van Jona, want vlees en bloed* het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is.ⁱ **18** Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus,^j en op hierdie rots^k sal ek my gemeente bou, en die poorte van die Graf* sal dit nie oorweldig nie. **19** Ek sal vir jou die sleutels van die Koninkryk

16:17 *Of "n mens". 16:18 *Of "Hades". Sien Woordelys.

van die hemel gee, en wat jy ook al op die aarde bind, sal reeds in die hemel gebind wees, en wat jy ook al op die aarde losmaak, sal reeds in die hemel losgemaak wees.” **20** Toe het hy die dissipels streng beveel om vir niemand te sê dat hy die Christus is nie.^a

21 Van daardie tyd af het Jesus aan sy dissipels begin verduidelik dat hy na Jerusalem moet gaan en baie sou ly as gevolg van die ouermanne en hoofpriesters en skrifgeleerdes en dat hy doorgemaak moet word en op die derde dag opgewek sou word.^b **22** Toe het Petrus hom eenkant geneem en ernstig met hom gepraat en gesê: “Wees goed vir uself, Here. Dit sal glad nie met u gebeur nie.”^c **23** Maar hy het omgedraai en vir Petrus gesê: “Gaan agter my, Satan! Jy is vir my ’n struikelblok, want jou gedagtes is nie God se gedagtes nie, maar dié van mense.”^d

24 Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: “As iemand my volgeling wil word, moet hy op hou om vir homself te lewe* en sy folterpaal^e optel en aanhou om my te volg.^e **25** Want enigiemand wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar enigiemand wat sy lewe ter wille van my verloor, sal dit vind.^f **26** Wat sal dit ’n mens help as hy die hele wêreld wen, maar sy lewe verloor?^g Of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy lewe?^h **27** Want die Seun van die mens en sy engelle sal met die mag* van sy Vader kom, en dan sal hy elkeen volgens sy gedrag terugbetaal.ⁱ **28** Ek verseker julle dat party van dié wat hier staan, beslis nie sal sterf voordat hulle die

16:24 *Of “moet hy homself verloën”.
16:27 *Of “heerlikheid”.

HFST. 16

- a Mr 8:29, 30
 Lu 9:20, 21
 b Ps 16:10
 Jes 53:12
 Mt 17:22, 23
 Mt 20:18, 19
 Mr 8:31
 Lu 9:22
 Lu 24:46
 1Kor 15:3, 4
 c Mr 8:32
 d Mr 8:33
 e Mt 10:38
 Mr 8:34
 Lu 9:23
 Lu 14:27
 f Mr 8:35
 Lu 9:24
 Lu 17:33
 Joh 12:25
 Op 12:11
 g Mr 8:36
 Lu 9:25
 h Ps 49:8
 i Ps 62:12
 Spr 24:12
 Lu 9:26
 Ro 2:6
 1Pe 1:17

Tweede kol.

- a Mt 17:2
 Mr 9:1
 Lu 9:27

HFST. 17

- b Mr 9:2-8
 Lu 9:28-36
 c Op 1:13, 16
 d Ps 2:7
 Jes 42:1
 Mt 3:17
 2Pe 1:17, 18
 e De 18:15
 Mr 9:7
 Lu 9:35
 Han 3:22, 23
 Heb 2:3
 f Mt 16:20
 Mr 9:9
 g Mr 9:11
 h Jes 40:3
 Mal 4:5, 6
 Mt 11:13, 14
 Mr 9:12
 Lu 1:17
 i Mr 9:13
 j Mt 16:21
 Lu 23:24, 25

Seun van die mens in sy Koninkryk sien kom nie.”^a

17 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en sy broer Johannes saamgeneem en hulle alleen teen ’n hoë berg opgeneem.^b **2** En sy voorkoms* het voor hulle verander: Sy gesig het geskyn soos die son, en sy bo-klere het skitterend[#] geword soos die lig.^c **3** En kyk! Moses en Eli’a het aan hulle verskyn, en hulle het met hom gesels. **4** Toe het Petrus vir Jesus gesê: “Here, dit is goed dat ons hier is. As u wil, sal ek drie skuilings* hier oprig: een vir u, een vir Moses en een vir Eli’a.” **5** Terwyl hy nog gepraat het, kyk! toe het ’n helder wolk oor hulle gekom, en ’n stem het uit die wolk gesê: “Dit is my Seun, die geliefde, wat ek goedgekeur het.”^d Luister na hom.”^e **6** Toe die dissipels dit hoor, het hulle met hulle gesigte na die grond toe neergeval en baie bang geword. **7** Jesus het nader gekom, aan hulle geraak en gesê: “Staan op. Moenie bang wees nie.” **8** Toe hulle opkyk, het hulle niemand behalwe Jesus daar gesien nie. **9** Terwyl hulle van die berg afgekom het, het Jesus hulle beveel: “Moet vir niemand van die visioen vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgewek is nie.”^f

10 Die dissipels het hom gevra: “Hoekom sê die skrifgeleerdes dan dat Eli’a eers moet kom?”^g **11** Hy het geantwoord: “Eli’a kom beslis en sal alles herstel.”^h **12** Maar ek sê vir julle dat Eli’a reeds gekom het, en hulle het hom nie herken nie, maar hulle het met hom gedoen net wat hulle wou.ⁱ Net so gaan die Seun van die mens as gevolg van hulle ly.”^j **13** Toe het die

17:2 *Of “gedaante”. #Of “wit”.
17:4 *Of “tente”.

dissipels besef dat hy met hulle oor Johannes die Doper gepraat het.

14 Terwyl hulle na die skare toe geloop het,^a het 'n man na hom toe gekom en voor hom gekniel. Die man het vir hom gesê: **15** "Here, betoon genade aan my seun, want hy ly aan epilepsie en is siek. Hy val dikwels in die vuur en dikwels in die water."^b **16** Ek het hom na u dissipels toe gebring, maar hulle kon hom nie genees nie."

17 Jesus het gesê: "Julle is so 'n ongelowige en verdraaide geslag!^c Hoe lank moet ek by julle bly? Hoe lank moet ek julle verdra? Bring hom hier na my toe."^d **18** Toe het Jesus streng met die demoon gepraat, en hy het uit hom uitgekom, en die seun was van daardie uur af genees.^d **19** Die dissipels het alleen na Jesus toe gekom en gevra: "Hoekom kon ons hom nie uitdryf nie?" **20** Hy het vir hulle gesê: "Omdat julle so min geloof het. Want ek verseker julle: As julle geloof het wat so groot soos 'n mosterdsaadjie is, sal julle vir hierdie berg sê: 'Gaan van hier af soontoe,' en dit sal gaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie."^e **21** *—

22 Dit was terwyl hulle in Galile'a bymekaar was dat Jesus vir hulle gesê het: "Die Seun van die mens gaan verraai word en aan mense oorgelewer word,^f **23** en hulle sal hom doodmaak, en op die derde dag sal hy opgewek word."^g En hulle was baie hartseer.

24 Nadat hulle in Kaper'naum aangekom het, het die manne wat die twee dragmas* belasting invorder, na Petrus toe gekom en gevra: "Betaal jul-

17:21 *Sien Aanh. A3. 17:24 *Lett. "die dubbele dragmas". Sien Aanh. B14.

HFST. 17
a Lu 9:37

b Mr 9:17-29
Lu 9:38-42

c De 32:5, 20

d Mt 8:13
Mt 9:22
Mt 15:28
Joh 4:51, 52

e Mt 21:21
Mr 11:23
Lu 17:6

f Mt 20:18
Lu 9:44, 45

g Mt 16:21
Mr 9:31

Tweede kol.

a Eks 30:13, 14

b 1Kor 10:32
2Kor 6:3

HFST. 18

c Mr 9:33-37
Lu 9:46-48
Lu 22:24

d Mt 19:14
1Pe 2:2

e Lu 18:17

f Spr 15:33
Mt 20:26
Mt 23:12
Lu 9:48
Lu 14:11
Lu 22:26
Jak 4:10
1Pe 5:5

g Mr 9:42
Lu 17:1, 2

le leermeester die twee dragmas belasting?"^a **25** Hy het gesê: "Ja." Maar toe hy in die huis ingaan, het Jesus met hom begin praat en gevra: "Wat dink jy, Simon? Van wie ontvang die konings van die aarde heffings of hoofbelasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge?" **26** Toe hy sê: "Van die vreemdelinge," het Jesus vir hom gesê: "Dan hoef die seuns mos nie belasting te betaal nie. **27** Maar sodat ons hulle nie laat struikel nie,^b gaan na die see toe, gooi 'n vishoek in en vat die eerste vis wat jy uittrek, en wanneer jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk* vind. Vat dit en betaal die belasting vir my en vir jou."

18 In daardie uur het die dissipels na Jesus toe gekom en gevra: "Wie is werklik die grootste in die Koninkryk van die hemel?"^c **2** Toe het hy 'n jong kind nader geroep, hom tussen hulle laat staan **3** en gesê: "Ek verseker julle: As julle nie verander* en soos jong kinders word nie,^d sal julle belys nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie."^e **4** Elkeen wat so nederig soos hierdie jong kind is, is dus die grootste in die Koninkryk van die hemel,^f **5** en elkeen wat 'n jong kind soos hierdie op grond van my naam ontvang, ontvang my ook. **6** Maar as enigiemand een van hierdie kleintjies wat geloof in my het, laat struikel, sal dit vir hom beter wees as 'n meulsteen* om sy nek gehang word en hy in die oop see gegooi word.^g

17:27 *Lett. "statermunt", waarskynlik die tetradragma. Sien Aanh. B14. 18:3 *Of "omdraai". 18:6 *Of "'n meulsteen wat deur 'n donkie gedraai word".

7 "Dit sal sleg gaan met die mense in die wêreld wat 'n struikelblok vir ander is! Struikelblokke is natuurlik onvermydelik, maar dit sal sleg gaan met die mense wat 'n struikelblok vir ander is! **8** As jou hand of jou voet dan vir jou 'n struikelblok is, kap dit af en gooi dit weg.^a Dit is beter om vermink of kreupel in die lewe in te gaan as om met twee hande of twee voete in die ewige vuur gegooi te word.^b **9** En as jou oog vir jou 'n struikelblok is, ruk dit uit en gooi dit weg. Dit is beter om met een oog in die lewe in te gaan as om met twee oë in die vurige Gehenna* gegooi te word.^c **10** Sorg dat julle nie op een van hierdie kleintjies neersien nie, want ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel altyd in die teenwoordigheid van my hemelse Vader is.^d **11** *—

12 "Wat dink julle? As 'n sekere man 100 skape het en een van hulle afdwaal,^e sal hy nie die 99 op die berge los en na die een gaan soek wat afdgwaal het nie?^f **13** En as hy hom vind, verseker ek julle dat hy blyer is oor hom as oor die 99 wat nie afdgwaal het nie. **14** Net so wil my* Vader wat in die hemel is, nie hê dat selfs een van hierdie kleintjies verlore gaan nie.^g

15 "En as jou broer 'n sonde pleeg, gaan praat alleen met hom en sê vir hom wat hy verkeerd gedoen het.^h As hy na jou luister, het jy jou broer gewen.ⁱ **16** Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee saam met jou, sodat elke saak deur* twee of drie getuies bevestig kan word.^j **17** As hy nie

18:9 *Sien Woordelys. **18:11** *Sien Aanh. A3. **18:14** *Of moontlik "julle". **18:15** *Of "wys hom tereg". **18:16** *Of "uit die mond van".

HFST. 18

a Kol 3:5

b Mt 25:41
Mr 9:43-48c Mt 5:22
Mt 5:29
Mr 9:47
Ro 8:13d Lu 1:19
Heb 1:7,14

e 1Pe 2:25

f Lu 15:3-7

g 2Pe 3:9

h Lu 19:17
Spr 25:8,9
Lu 17:3

i Jak 5:20

j De 19:15
2Kor 13:1
1Ti 5:19

Tweede kol.

a Joh 18:28
Han 10:28
Han 11:2,3b Ro 16:17
1Kor 5:11c Mr 11:24
Joh 14:13
Joh 16:23,24
1Jo 3:22
1Jo 5:14

d 1Kor 5:4,5

e Mt 6:12
Mr 11:25
Lu 17:4
Ef 4:32
Kol 3:13f Eks 21:7
Lu 25:39
2Kn 4:1
Ne 5:8

na hulle luister nie, praat met die gemeente. As hy nie eens na die gemeente luister nie, laat hom vir jou net soos 'n man van die nasies^a en soos 'n belastinggaarder^{*b} wees.

18 "Ek verseker julle: Alles wat julle op die aarde bind, sal reeds in die hemel gebind wees, en alles wat julle op die aarde losmaak, sal reeds in die hemel losgemaak wees. **19** Ek verseker julle ook: As twee van julle op die aarde saamstem oor enigiets belangriks wat hulle wil vra, sal my Vader in die hemel dit vir hulle laat gebeur.^c **20** Want waar twee of drie in my naam bymekaarkom,^d daar sal ek by hulle wees."

21 Toe het Petrus gekom en vir hom gevra: "Here, hoeveel keer kan my broer teen my sondig en moet ek hom vergewe? Tot sewe keer?" **22** Jesus het vir hom gesê: "Ek sê vir jou: nie tot sewe keer nie, maar tot 77 keer.^e

23 "Daarom kan die Koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat wou hê dat sy slawe moet teruggee wat hulle hom skuld. **24** Toe hy die geld begin terugvra, is daar 'n man ingebring wat hom 10 000 talente* skuld. **25** Maar omdat hy nie die middele gehad het om dit terug te betaal nie, het sy meester beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en al sy besittings verkoop moet word en dat die skuld so terugbetaal moet word.^f **26** Daarom het die slaaf neergeval en aan hom eer bewys* en gesê: 'Wees geduldig met my, en ek sal alles aan u terugbetaal.' **27** As

18:17 *Iemand wat belasting vir die regering invorder. **18:24** *10 000 talente silwer was gelyk aan 60 000 000 denarii. Sien Aanh. B14. **18:26** *Of "voor hom neergebuig".

gevolg hiervan het die meester van daardie slaaf vir hom jammer gevoel en hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.^a **28** Maar daardie slaaf het uitgegaan en een van sy medeslawe gevind wat hom 100 dena'rii* skuld, en hy het hom gegryp en hom begin wurg en gesê: 'Betaal terug wat jy skuld.' **29** Daarom het sy medeslaaf neergeval en hom begin smeek en gesê: 'Wees geduldig met my, en ek sal jou terugbetaal.' **30** Maar hy wou nie en het weggegaan en hom in die tronk laat gooi totdat hy sy skuld kon terugbetaal. **31** Toe sy medeslawe sien wat gebeur het, was hulle baie ontsteld, en hulle het hulle meester gaan vertel van alles wat gebeur het. **32** Daarna het sy meester hom laat roep en vir hom gesê: 'Goddelose slaaf, ek het al jou skuld afgeskryf toe jy my gesmeek het. **33** Moes jy nie ook genade aan jou medeslaaf betoon het soos ek genade aan jou betoon het nie?'^b **34** Sy meester was baie kwaad en het hom dus aan die tronkbewaarders oorgelewer totdat hy al sy skuld terugbetaal het. **35** My hemelse Vader sal julle op dieselfde manier behandel^c as julle nie elkeen sy broer uit die hart vergeewe nie."^d

19 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het hy uit Galile'a vertrek en by die grens van Jude'a oorkant die Jordaanrivier gekom.^e **2** En groot groepe mense het hom gevolg, en hy het hulle daar genees.

3 En Fariseërs het na hom toe gekom om hom te toets, en hulle het gevra: "Mag 'n man sommer om enige rede van sy vrou skei?"^f **4** Hy het geantwoord: "Het julle nie gelees dat die Een wat mense geskep het,

HFST. 18
a 1Jo 1:9

b Jes 55:7
Mt 6:12
Mt 7:12
Jak 2:13

c Ro 2:6

d Mt 6:14
Mr 11:25
Lu 17:3
Ef 4:32

HFST. 19

e Mr 10:1

f De 24:1
Mr 10:2-12

Tweede kol.

a Ge 1:27
Ge 5:2

b Ge 2:24
Ef 5:31

c Mr 10:9
1Kor 7:11

d De 24:1
Mt 5:31

e Mr 10:5

f Ge 2:24

g Mal 2:14
Mt 5:32
Mr 10:11, 12
Lu 16:18
Ro 7:3
1Kor 7:10
Heb 13:4

h 1Kor 7:7

i 1Kor 7:32, 38
1Kor 9:5

j Mr 10:13-16
Lu 18:15-17

hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?^a **5** Hy het gesê: 'Daarom sal 'n man sy pa en sy ma verlaat en sy vrou aankleef, en die twee sal een vlees wees.'^b **6** Hulle is dus nie meer twee nie, maar een vlees. Wat God dan onder een juk saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."^c **7** Hulle het vir hom gevra: "Hoekom het Moses dan gesê dat 'n skeibrief gegee kan word en dat hy van haar kan skei?"^d **8** Hy het vir hulle gesê: "Moses het die toegewing gemaak dat julle van julle vrouens kan skei omdat julle harte so ongevoelig is,^e maar dit was nie van die begin af so nie.^f **9** Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe op grond van seksuele onsedelikheid,^{*} en met iemand anders trou, egbreuk pleeg."^g

10 Die dissipels het vir hom gesê: "As dít die situasie is met 'n man en sy vrou, is dit beter om nie te trou nie." **11** Hy het vir hulle gesê: "Nie almal kan hiervoor plek maak nie, maar net dié wat die gawe het.^h **12** Want daar is eunugs wat so gebore is, en daar is eunugs wat deur mense eunugs gemaak is, en daar is eunugs wat hulleself eunugs gemaak het ter wille van die Koninkryk van die hemel. Laat die een wat daarvoor kan plek maak, daarvoor plek maak."ⁱ

13 Toe is jong kinders na hom toe gebring sodat hy hulle kan seën* en vir hulle kan bid, maar die dissipels het streng met hulle gepraat.^j **14** Jesus het egter gesê: "Los die jong kinders, en moet hulle nie probeer keer om na my toe te kom nie, want die Koninkryk van die

19:9 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woorde-lys. **19:13** *Of "sy hande op hulle kan lê".

hemel behoort aan mense wat soos hulle is.^a **15** En hy het sy hande op hulle gelê en daarvan-daan weggegaan.

16 En iemand het na hom toe gekom en gevra: "Leermeester, watter goeie dinge moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?"^b **17** Hy het vir hom gesê: "Hoekom vra jy my oor wat goed is? Daar is net Een wat goed is.^c As jy egter die lewe wil ingaan, moet jy aanhou om die gebooi te gehoorsaam."^d

18 Hy het vir hom gevra: "Watter gebooi?" Jesus het gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie,^e jy mag nie egbreuk pleeg nie,^f jy mag nie steel nie,^g jy mag nie valslik getuig nie,^h **19** eer* jou pa en jou maⁱ en jy moet jou naaste liefhê soos jouself."^j **20** Die jong man het vir hom gesê: "Ek was gehoorsaam aan al hierdie dinge. Wat moet ek nog doen?" **21** Jesus het vir hom gesê: "As jy volmaak* wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê.^k En kom word my volgeling."^l **22** Toe die jong man dit hoor, het hy hartseer weggegaan, want hy het baie besittings gehad.^m **23** Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: "Ek verseker julle: Dit sal vir 'n ryk man moeilik wees om in die Koninkryk van die hemel in te gaan.ⁿ **24** Ek sê weer vir julle dat dit makliker is vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan."^o

25 Toe die dissipels dit hoor, was hulle baie verbaas, en hulle het gevra: "Wie kan dan eintlik gered word?"^p **26** Jesus het terugit na hulle gekyk en gesê:

19:19 *Of "respekteer". **19:21** *Of "volkome".

HFST. 19

- a Mt 18:3
Mr 10:14
Lu 18:16
- b Mr 10:17-22
Lu 18:18-23
- c Mr 10:18
- d Le 18:5
Lu 10:25-28
- e Eks 20:13
De 5:17
- f Eks 20:14
De 5:18
- g Eks 20:15
De 5:19
- h Eks 20:16
De 5:20
- i Eks 20:12
De 5:16
- j Le 19:18
Mt 22:39
Mr 12:31
Lu 10:27
Ro 13:9
- k Mt 6:20
- l Lu 12:33
Lu 18:22
Flp 3:7
- m Lu 18:23
- n Mr 10:23
Lu 18:24
1Ti 6:10
- o Mr 10:25
Lu 18:25
- p Mr 10:26, 27
Lu 18:26, 27

Tweede kol.

- a Job 42:2
- b Mr 10:28
Lu 5:11
Lu 18:28
Flp 3:8
- c Da 7:14
Mt 20:21
Lu 22:28-30
1Kor 6:2
Op 20:4
- d Mr 10:29, 30
Lu 18:29, 30
Heb 10:34
- e Mt 20:16
Mr 10:31
Lu 13:30

HFST. 20

- f Mt 21:33

"Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik."^a

27 Toe het Petrus hom geantwoord: "Ons het alles agtergelaat en u gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?"^b **28** Jesus het vir hulle gesê: "Ek verseker julle: In die herskepping, wanneer die Seun van die mens op sy glorieryke troon gaan sit, sal julle wat my gevolg het, op 12 trone sit en die 12 stamme van Israel oordeel.^c **29** En elkeen wat huise of broers of susters of pa of ma of kinders of landerye ter wille van my naam verlaat het, sal 100 keer soveel kry en die ewige lewe ontvang.^d

30 "Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en baie wat laaste is, sal eerste wees.^e

20 "Want die Koninkryk van die hemel is soos die meester van 'n huis wat vroeg in die oggend uitgegaan het om werkers vir sy wingerd te huur.^f Nadat hy met die werkers ooreengekom het om hulle 'n denarius* per dag te betaal, het hy hulle in sy wingerd uitgestuur. **3** Hy het weer omtrent die derde uur* uitgegaan en ander op die markplein sien staan wat werkloos is. **4** Hy het vir hulle gesê: 'Gaan ook in die wingerd in, en ek sal julle betaal wat redelik is.' **5** Toe het hulle gegaan. Hy het omtrent die sesde uur* en die negende uur*^g weer uitgegaan en dieselfde gedoen. **6** Laastens het hy omtrent die 11de uur* uitgegaan en ander gesien wat daar rondstaan, en hy het vir hulle gevra: 'Hoekom staan julle al die hele dag hier sonder werk?' **7** Hulle het hom geantwoord: 'Omdat

20:2 *Sien Aanh. B14. **20:3** *D.w.s. omtrent 09:00. **20:5** *D.w.s. omtrent 12:00. *D.w.s. omtrent 15:00. **20:6** *D.w.s. omtrent 17:00.

niemand ons gehuur het nie.' Hy het vir hulle gesê: 'Gaan ook in die wingerd in.'

8 "Toe dit aand word, het die meester van die wingerd vir die man wat oor die werkers toesig gehou het, gesê: 'Roep die werkers en betaal hulle.^a Begin by die laastes en eindig by die eerstes.' **9** Toe die manne kom wat van die 11de uur af gewerk het, het hulle elkeen 'n denarius* gekry. **10** Toe die eerstes kom, het hulle dus aangeneem dat hulle meer sou kry, maar hulle het ook 'n denarius* as betaling gekry. **11** Nadat hulle betaal is, het hulle teen die meester van die huis begin kla **12** en gesê: 'Hierdie laaste manne het net een uur gewerk, en tog het u hulle net soveel betaal as vir ons, wat die hele dag hard gewerk het in die warm son!' **13** Maar hy het vir een van hulle gesê: 'Vriend, ek behandel jou nie onregverdig nie. Het ek nie met jou ooreengekom dat ek jou 'n denarius* sou betaal nie?'^b **14** Neem wat joune is en gaan. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou. **15** Het ek nie die reg om met my eie goed te doen wat ek wil nie? Of is jy jaloers* omdat ek goed vir hulle was?'^c **16** So sal die laastes eerste wees, en die eerstes, laaste."^d

17 Terwyl Jesus op pad Jerusalem toe was, het hy die 12 dissipels eenkant geneem en vir hulle gesê:^e **18** "Ons is op pad na Jerusalem, en die Seun van die mens sal aan die hoofpriesters en die skrifgeleerdes oorlewer word. Hulle sal hom tot die dood veroordeel **19** en hom aan mense van die nasies oorlewer om bespot en met 'n

HFST. 20

a Le 19:13
De 24:14,15

b Mt 20:2

c Mt 6:23

d Mt 19:30
Mr 10:31
Lu 13:30

e Mr 10:32
Lu 18:31

f Mt 16:21
Mr 10:33, 34
Lu 9:22
Lu 18:32, 33

Tweede kol.

a Mt 27:31
Joh 19:1

b Mt 17:22, 23
Mt 28:6
Han 10:40
1Kor 15:4

c Mt 4:21
Mt 27:55, 56

d Mr 10:35-40

e Mt 19:28

f Mt 26:39
Mr 10:38
Mr 14:36
Joh 18:11

g Han 12:2
Ro 8:17
2Kor 1:7
Op 1:9

h Mr 10:39, 40

i Mr 10:41-45
Lu 22:24

j Mr 10:42

k 2Kor 1:24
1Pe 5:3

l Mt 18:4
Mt 23:11
Mr 10:43, 44
Lu 22:26

m Mr 9:35

n Lu 22:27
Joh 13:14
Flp 2:7

o Jes 53:11
Mr 10:45
1Ti 2:5, 6
Tit 2:13, 14
Heb 9:28

gesel* geslaan en aan 'n paal gehang te word,^a en op die derde dag sal hy opgewek word."^b

20 Toe het die ma van die seuns van Sebede^c saam met haar seuns na hom toe gekom en aan hom eer bewys* en iets van hom gevra.^d **21** Hy het vir haar gevra: "Wat wil jy hê?" Sy het vir hom gesê: "Sê dat hierdie twee seuns van my in u Koninkryk mag sit, een aan u regterhand en een aan u linkerhand."^e **22** Jesus het geantwoord: "Julle weet nie waarvoor julle vra nie. Kan julle die beker drink wat ek binnekort gaan drink?"^f Hulle het vir hom gesê: "Ons kan." **23** Hy het vir hulle gesê: "Julle sal beslis my beker drink,^g maar om aan my regterhand en aan my linkerhand te sit, is nie myne om te gee nie, maar dit behoort aan dié vir wie my Vader dit voorberei het."^h

24 Toe die tien ander hiervan hoor, het hulle kwaad geword vir die twee broers.ⁱ **25** Maar Jesus het hulle na hom toe geroep en gesê: "Julle weet dat die heersers van die nasies oor die mense baasspeel en dat die leiers hulle gesag gebruik om mense te oorheers.^j **26** Dit moenie so onder julle wees nie.^k As iemand onder julle groot wil wees, moet hy julle dienaar wees,^l **27** en as iemand onder julle die eerste wil wees, moet hy julle slaaf wees.^m **28** Net so het die Seun van die mens gekom, nie om gedien te word nie, maar om te dienⁿ en om sy lewe te gee as 'n losprys in ruil vir baie."^o

29 Terwyl hulle uit Je'ri-go uitgegaan het, het 'n groot skare hom gevolg. **30** En twee blinde mans wat langs die pad

20:9, 10, 13 *Sien Aanh. B14. 20:15 *Lett. "is jou oog goddeloos". ^aOf "vrygewig is".

20:19 *Sien Woordelys. 20:20 *Of "voor hom neergebuig".

gesit het, het gehoor dat Jesus verbygaan en het uitgeroep: "Here, betoon genade aan ons, Seun van Dawid!"^a **31** Die skare het hulle streng beveel om stil te bly, maar hulle het al hoe harder uitgeroep: "Here, betoon genade aan ons, Seun van Dawid!" **32** Toe het Jesus stilgestaan, hulle geroep en gevra: "Wat wil julle hê moet ek vir julle doen?" **33** Hulle het vir hom gesê: "Here, laat ons asseblief sien." **34** Jesus het baie jammer vir hulle gevoel. Hy het aan hulle oë geraak,^b en onmiddellik kon hulle weer sien, en hulle het hom gevolg.

21 Toe hulle naby Jerusalem kom en by Betfa'ge op die Olyfberg aankom, het Jesus twee dissipels gestuur^c **2** en vir hulle gesê: "Gaan in die dorpie in wat julle voor julle sien, en julle sal dadelik 'n donkie vind wat vasgemaak is, en 'n jong donkie by haar. Maak hulle los en bring hulle na my toe. **3** As iemand vir julle iets vra, moet julle sê: 'Die Here het hulle nodig.' Dan sal hy hulle onmiddellik stuur."

4 Dit het in werklikheid plaasgevind sodat vervul sou word wat deur middel van die profeet gesê is: **5** "Sê vir die dogter van Sion: 'Jou koning kom na jou toe.'^d Hy is saggeaard^e en hy sit op 'n donkie, ja, op 'n jong donkie, die vul van 'n pakkier.'"^f

6 Toe het die dissipels gegaan en gedoen net soos Jesus vir hulle gesê het.^g **7** Hulle het die donkie asook die jong donkie gebring, en hulle het hulle bo-klere op hulle gesit. Toe het Jesus op die jong donkie gaan sit.^h **8** Die meeste mense het hulle bo-klere op die pad uitgesprei,ⁱ terwyl ander takke van bome afgekap het en dit op die

HFST. 20

a Mt 9:27
Mr 10:46-52
Lu 18:35-43

b Mt 9:29

HFST. 21

c Mr 11:1-3
Lu 19:28-31

d Jes 62:11
Joh 12:15

e Mt 11:29

f Sag 9:9

g Mr 11:4-6
Lu 19:32-35

h 1Kn 1:38, 40
Mr 11:7-11
Joh 12:14, 15

i Lu 19:36-38

Tweede kol.

a Mt 9:27
Mt 21:15

b Ps 118:25, 26
Joh 12:13

c Mr 11:9, 10

d Mt 21:46
Lu 7:16
Lu 24:19

e Mr 11:15, 16
Lu 19:45
Joh 2:15

f Jes 56:7

g Jer 7:11
Mr 11:17
Lu 19:46
Joh 2:16

h Mt 21:9

i Mr 11:18
Lu 19:39, 40

j Ps 8:2

k Mr 11:11
Lu 21:37
Joh 11:1

l Mr 11:12

pad uitgesprei het. **9** En die skare wat voor hom uit gegaan het en die mense wat hom gevolg het, het bly uitroep: "Red asseblief die Seun van Dawid!"^a Geseënd is die een wat in Jehovah* se naam kom!^b Red hom asseblief in die hoogtes daar bo!"^c

10 En toe hy in Jerusalem aankom, was die hele stad in rep en roer, en die mense het gevra: "Wie is dit?" **11** Die skare het bly sê: "Dit is die profeet Jesus,^d van Na'saret in Galile'a!"

12 Jesus het in die tempel ingegaan en almal uitgejaag wat in die tempel koop en verkoop. Hy het ook die tafels van die geldwisselaars* en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.^e **13** En hy het vir hulle gesê: "Daar staan geskryf: 'My huis sal 'n huis van gebed genoem word',^f maar julle maak dit 'n skuilplek vir rowers.'^g **14** Daar was ook blinde mense en kreupel mense wat in die tempel na hom toe gekom het, en hy het hulle genees.

15 Toe die hoofpriesters en die skrifgeleerdes die wonderlike dinge sien wat hy doen, sowel as die seuns wat in die tempel uitroep: "Red asseblief die Seun van Dawid!"^h het hulle kwaad geword.ⁱ **16** Hulle het vir hom gevra: "Hoor jy wat hulle sê?" Jesus het vir hulle gesê: "Ja. Het julle nooit gelees nie: 'U laat u loof deur die mond van kinders en kleuters?'"^j **17** En hy het hulle agtergelaat en uit die stad uitgegaan na Beta'nië en daar oornag.^k

18 Vroeg die oggend, op pad terug na die stad, het hy honger geword.^l **19** Hy het 'n vyebroom langs die pad gesien en soontoe

21:9 *Sien Aanh. A5. **21:12** *D.w.s. mense wat wins gemaak het deur een geldsoort vir 'n ander te ruil.

gegaan, maar hy het net blare daaraan gevind.^a Hy het vir die boom gesê: “Mag jy nooit weer vrugte dra nie.”^b En die vyeboom het dadelik uitgedroog. **20** Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en het hulle gevra: “Hoe is dit moontlik dat die vyeboom dadelik uitgedroog het?”^c **21** Jesus het vir hulle gesê: “Ek verseker julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie net doen wat ek aan die vyeboom gedoen het nie, maar selfs as julle vir hierdie berg sê: ‘Lig jousef op en gooi jousef in die see,’ sal dit gebeur.”^d **22** En alles wat julle in gebed met geloof vra, sal julle ontvang.”^e

23 Nadat hy in die tempel ingegaan het, het die hoofpriesters en die ouermanne van die volk na hom toe gekom terwyl hy die mense geleer het. Hulle het gevra: “Met watter gesag doen jy hierdie dinge? En wie het jou hierdie gesag gegee?”^f

24 Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: “Ek sal julle ook een ding vra. As julle vir my sê wat die antwoord is, sal ek ook vir julle sê met watter gesag ek hierdie dinge doen: **25** Het Johannes se gesag om te doop uit die hemel of van mense gekom?” Maar hulle het onder mekaar begin redeneer en gesê: “As ons sê: ‘Uit die hemel,’ sal hy vir ons vra: ‘Hoekom het julle hom dan nie geglo nie?’^g **26** Maar ons is bang vir wat die skare gaan doen as ons sê: ‘Van mense,’ want hulle almal beskou Johannes as ‘n profeet.” **27** Hulle het dus vir Jesus gesê: “Ons weet nie.” Toe het hy vir hulle gesê: “Dan sê ek ook nie vir julle met watter gesag ek hierdie dinge doen nie.

28 “Wat dink julle? ‘n Man het twee kinders gehad. Hy het na die eerste kind toe ge-

HFST. 21
a Lu 13:6
b Mt 3:10
Mr 11:13, 14
c Mr 11:20, 21
d Mt 17:20
Mr 11:22, 23
Lu 17:6
e Mr 11:24
Lu 11:9
Joh 14:13
Jak 1:5
1Jo 3:22

f Mr 11:27-33
Lu 20:1-8
g Mt 21:32
Mr 11:30, 31
Lu 7:29, 30

Tweede kol.
a Lu 3:12
Lu 7:29, 30

b Jes 5:7
c Jes 5:2
d Mr 12:1-9
Lu 20:9-16
e Ne 9:26

f 2Kr 36:15
Han 7:52
Heb 11:32, 37

gaan en gesê: ‘Kind, gaan werk vandag in die wingerd.’ **29** Die kind het geantwoord: ‘Ek sal nie,’ maar agterna het hy spyt gevoel en gegaan. **30** Hy het na die tweede kind toe gegaan en dieselfde gesê. Die kind het geantwoord: ‘Ek sal, Pa,’ maar hy het nie gegaan nie. **31** Wie van die twee het die wil van sy pa gedoen?” Hulle het gesê: “Die eerste kind.” Jesus het vir hulle gesê: “Ek verseker julle: Die belastingvaarders* en die prostitute sal voor julle in die Koninkryk van God ingaan. **32** Want Johannes het gekom en vir julle die weg van regverdigheid geleer, maar julle het hom nie geglo nie. Die belastingvaarders en die prostitute het hom egter geglo,^a en selfs toe julle dit gesien het, het julle nie agterna spyt gevoel en hom geglo nie.

33 “Luister na nog ‘n illustrasie: Daar was ‘n man, ‘n landeienaar, wat ‘n wingerd^b geplant het en ‘n heining daarom gesit het en ‘n wynpers daarin uitgekop het en ‘n toring^c opgerig het. Toe het hy dit aan landbouers verhuur en na die buiteland gereis.^d **34** Toe die driuweseisoen kom, het hy sy slawe na die landbouers toe gestuur om sy druiwe te gaan haal. **35** Maar die landbouers het sy slawe gevat, en hulle het die een geslaan, ‘n ander doodgemaak en nog ‘n ander met klippe doodgegooi.^e **36** Hy het ander slawe gestuur, meer as die eerste groep, maar hulle het dieselfde met hierdie slawe gedoen.^f **37** Laastens het hy sy seun na hulle toe gestuur en gesê: ‘Hulle sal my seun respekteer.’ **38** Toe die landbouers die seun sien, het hulle vir mekaar gesê: ‘Dit is die erfge-

21:31 *Persone wat belasting vir die regering invorder.

naam.^a Kom ons maak hom dood sodat ons sy erfenis kan kry!^b **39** Toe het hulle hom gevat en hom uit die wingerd uitgegooi en hom doodgemaak.^b **40** Wat sal die eienaar van die wingerd aan daardie landbouers doen wanneer hy kom?" **41** Hulle het vir hom gesê: "Omdat hulle sleg is, sal hy 'n verskriklike vernietiging oor hulle bring en die wingerd aan ander landbouers verhuur, wat hom in die oestyd sy deel sal gee."

42 Jesus het vir hulle gesê: "Die Skrif sê: 'Die steen wat die bouers verwerp het, het die belangrikste hoeksteen* geword.^c Dit het van Jehovah^d af gekom, en dit is wonderlik in ons oë.'^d Het julle dit nog nooit gelees nie? **43** Daarom sê ek vir julle: Die Koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan 'n nasie gegee word wat die regte vrugte voortbring. **44** Die persoon wat op hierdie steen val, sal vernietig word.^e En elkeen op wie hierdie steen val, sal vergruis word."^f

45 Toe die hoofpriesters en die Fariseërs sy illustrasies hoor, het hulle geweet dat hy van hulle praat.^g **46** Al wou hulle hom gevange neem, was hulle bang vir die skare omdat die mense hom as 'n profeet beskou het.^h

22 Jesus het weer deur middel van illustrasies met hulle gepraat en gesê: **2** "Die Koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n koning wat 'n huweliksfeesⁱ vir sy seun voorberei het. **3** Hy het sy slawe gestuur om die mense te roep wat na die huweliksfees genooi is, maar hulle wou nie kom nie.^j **4** Hy het weer sla-

21:42 *Let. "die hoof van die hoek".
"Sien Aanh. A5.

HFST. 21

a Heb 1:2

b Han 2:23

Han 3:15

c Jes 28:16

Lu 20:17

Han 4:11

Ro 9:33

Ef 2:20

1Pe 2:7

d Ps 118:22, 23

Mr 12:10, 11

e Jes 8:14

1Pe 2:7, 8

f Lu 20:18

g Mr 12:12

Lu 20:19

h Mt 21:11

Joh 7:40

HFST. 22

i Lu 14:16

Op 19:9

j Lu 14:17, 18

Tweede kol.

a Lu 14:18, 19

b Da 9:26

c Han 13:45, 46

d Mt 21:43

Lu 14:23

we gestuur en gesê: 'Sê vir die mense wat genooi is: "Ek het 'n maaltyd voorberei, my bulle en vetgemaakte diere is geslag en alles is gereed. Kom na die huweliksfees."^a **5** Maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en het weggegaan, die een na sy landery en die ander na sy besigheid.^a **6** Die res van die mense wat genooi is, het sy slawe gegryp, hulle mishandel en hulle doodgemaak.

7 "Die koning het woedend geword en sy leërmag gestuur en daardie moordenaars doodgemaak en hulle stad afgebrand.^b **8** Toe het hy vir sy slawe gesê: 'Die huweliksfees is gereed, maar die mense wat genooi is, was nie waardig om uitgenooi te word nie.^c **9** Gaan dan na die paaie wat uit die stad lei, en nooi enigenen wat julle vind na die huweliksfees.'^d **10** Die slawe het dus na die paaie uitgegaan en almal bymekaargemaak wat hulle gevind het, goeie sowel as slegte mense. Toe het die vertrek vir die huwelikseremonie vol geword van die gaste wat vir die maaltyd genooi is.*

11 "Toe die koning inkom om na die gaste te kom kyk, het hy 'n man gesien wat nie gepaste klere vir die huweliksfees aangehad het nie. **12** En hy het vir hom gesê: 'Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder om gepaste klere vir die huweliksfees aan te hê?' Die man kon hom nie antwoord nie. **13** Toe het die koning vir sy knegte gesê: 'Bind sy hande en voete vas en gooi hom in die duisternis daar buite. Daar sal hy huil en op sy tande kners.'

14 "Want baie is genooi, maar min is uitgekies."

22:10 *Of "aan tafel gegaan het".

15 Toe het die Fariseërs ge- gaan en planne beraam sodat hulle Jesus kon kry om iets te sê wat hulle teen hom kan gebruik.^a 16 Daarna het hulle hulle dissipels na hom toe ge- stuur, saam met party van He- rodes se ondersteuners.^b Hul- le het gesê: “Leermeester, ons weet dat u opreg is en die waar- heid oor God se weg leer, en u soek niemand se goedkeuring nie, want u kyk nie na mense se uiterlike nie. 17 Sê dan vir ons wat u dink: Is dit reg om hoof- belasting aan die keiser te betaal of nie?” 18 Maar Jesus, wat ge- weet het hoe goddeloos hulle is, het gevra: “Hoekom toets julle my, skynheiliges? 19 Wys my die muntstuk waarmee jul- le belasting betaal.” Hulle het vir hom 'n dena'rius* gebring. 20 Hy het vir hulle gevra: “Wie se beeld en titel is hierop?” 21 Hulle het gesê: “Die keiser s'n.” Toe het hy vir hulle gesê: “Betaal dan aan die keiser te- rug wat aan die keiser behoort, maar aan God wat aan God be- hoort.”^c 22 Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas, en hulle het van hom af weggegaan. 23 Op daardie dag het die Sadduseërs, wat sê dat daar geen opstanding is nie,^d vir hom kom sê:^e 24 “Leermeester, Mo- ses het gesê: ‘As 'n man sterf sonder dat hy kinders het, moet die man se broer met sy vrou trou en kinders gee vir sy broer wat gesterf het.’^f 25 Daar was sewe broers by ons. Die eerste broer het getrou en gesterf, en omdat hy nie kinders gehad het nie, het hy sy vrou vir sy broer agtergelaat. 26 Dieselfde het met die tweede en die derde broer gebeur, en uiteindelik met al sewe broers. 27 Laastens het die vrou gesterf. 28 Wie

22:19 *Sien Aanh. B14.

- HFST. 22
a Mr 12:13-17
Lu 20:20-26
b Mr 3:6
c Da 3:17,18
Mal 3:8
Mr 12:17
Lu 20:25
Lu 23:2
Ro 13:7
d Han 4:1, 2
Han 23:8
e Mr 12:18-23
Lu 20:27-33
f Ge 38:7, 8
De 25:5, 6
Rut 1:11
Rut 3:13
Tweede kol.
a Mr 12:24-27
b Lu 20:35, 36
c Eks 3:6
d Lu 20:37, 38
Ro 4:17
e Mt 7:28
Mr 11:18
f Mr 12:28
g De 6:5
De 10:12
Jos 22:5
Mr 12:30
Lu 10:27
h Le 19:18
Mr 12:31
Lu 10:27
Kol 3:14
Jak 2:8
1Pe 1:22
i Ro 13:10
Ga 5:14
j Mr 12:35-37
Lu 20:41-44
k Joh 7:42

van die sewe broers se vrou sal sy in die opstanding wees? Want hulle almal was met haar ge- troued.”

29 Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: “Julle misgis jul- le, want julle ken nie die Skrif nie en ook nie die krag van God nie.^a 30 want in die op- standing trou mans nie en word vrouens ook nie in die huwelik gegee nie, maar hulle is soos en- gele in die hemel.^b 31 Het jul- le nie geles wat God vir julle oor die opstanding van die doo- ies gesê het nie? Hy het gesê: 32 ‘Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.’^c Hy is nie die God van die dooies nie, maar van die lewendes.”^d 33 Toe die skare dit hoor, was hulle verstom oor sy onderrigting.^e

34 Nadat die Fariseërs ge- hoor het dat die Sadduseërs Je- sus nie kon antwoord nie, het hulle almal bymekaargekom. 35 En een van hulle, wat die Wet goed geken het, het hom getoets deur te vra: 36 “Leer- meester, wat is die grootste ge- bod in die Wet?”^f 37 Hy het vir hom gesê: “‘Jy moet Jeho- vah* jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’^g en met jou hele verstand.’^g 38 Dit is die grootste en eer- ste gebod. 39 Die tweede ge- bod, soortgelyk hieraan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jou- self.’^h 40 Die hele Wet en die boeke van die profete is op hier- die twee gebooe gebaseer.”ⁱ

41 En terwyl die Fariseërs bymekaar was, het Jesus hulle gevra:^j 42 “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is hy?” Hulle het vir hom gesê: “Dawid s'n.”^k 43 Hy het vir hul- le gevra: “Hoekom noem Dawid

22:37 *Sien Aanh. A5. ^gSien Woorde- lys.

hom dan deur inspirasie^a Here wanneer hy sê: **44** 'Jehovah* het vir my Here gesê: "Sit aan my regterhand totdat ek jou vyande onder jou voete plaas?"^b **45** As Dawid hom dan Here noem, hoe is hy sy seun?"^c **46** En niemand kon hom antwoord nie, en van daardie dag af het niemand dit gewaag om hom enigsins verder uit te vra nie.

23 Toe het Jesus met die skare en met sy dissipels gepraat en gesê: **2** "Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het op die stoel van Moses gaan sit. **3** Julle moet dus alles doen en gehoorsaam wat hulle vir julle sê, maar julle moenie soos hulle optree nie, want hulle praat, maar hulle doen nie wat hulle sê nie.^d **4** Hulle bind swaar vragte saam en sit dit op die skouers van mense,^e maar hulle is self nie bereid om met 'n vinger aan die vrag te raak nie.^f **5** Alles wat hulle doen, doen hulle om deur mense gesien te word,^g want hulle maak die geskriftedosies breër wat hulle as beskermmiddel dra,^h en hulle maak die fraiings van hulle klere langer.ⁱ **6** Hulle hou van die beste plekke by aandetes en die voorste* sitplekke in die sinagoges,^j **7** en hulle hou daarvan om op die markpleine gegroet te word en om deur die mense Rabbi* genoem te word. **8** Maar julle moet julle nie Rabbi laat noem nie, want een is julle Leermeester,^k en julle almal is broers. **9** En moet niemand op aarde julle vader noem nie, want julle het net een Vader,^l die Een in die hemel. **10** Moet julle ook nie leiers laat noem nie, want julle het net een Leier, die Christus. **11** Maar die

22:44 *Sien Aanh. A5. **23:6** *Of "besette". **23:7** *Of "Leermeester".

HFST. 22

a 2Sa 23:2

b Ps 110:1
Han 2:34, 35
1Kor 15:25
Heb 1:13
Heb 10:12, 13

c Mr 12:37

HFST. 23

d Mal 2:7, 8

e Mt 11:28

f Lu 11:46

g Mt 6:1, 2

h De 6:6, 8

i Nu 15:38, 39

j Mr 12:38, 39
Lu 11:43
Lu 14:7, 10
Lu 20:46

k Joh 13:13

l Mt 6:9

Tweede kol.

a Mt 20:26
Mr 9:35
Lu 22:26

b Spr 16:18

c Spr 29:23
Mt 18:4
Lu 14:11
Ro 12:3
1Pe 5:5

d Lu 11:52

e Mt 6:2
Lu 12:56

f Mt 15:14

g Mt 5:34, 35

h 1Kn 8:13

grootste onder julle moet julle dienaar wees.^a **12** Elkeen wat homself verhoog,^b sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word.^c

13 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs! Want julle sluit die Koninkryk van die hemel vir mense. Julle gaan self nie in nie, en julle laat die mense wat wil ingaan, ook nie toe om in te gaan nie.^d **14** *—

15 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs!^e Want julle reis oor die see en die droë land om een proseliet* te maak, en wanneer hy een word, maak julle hom 'n voorwerp vir Gehen'na,^f twee keer erger as julleself.

16 "Dit sal sleg gaan met julle, julle blinde gidse,^f wat sê: 'As iemand by die tempel sweer, is dit niks, maar as iemand by die goud van die tempel sweer, is hy onder verpligting.'^g **17** Julle is dwaas en blind! Wat is eintlik belangriker: die goud of die tempel wat die goud geheilig het? **18** En julle sê: 'As iemand by die altaar sweer, is dit niks, maar as iemand by die offer daarop sweer, is hy onder verpligting.'^g **19** Blindes! Wat is in werklikheid belangriker: die offer of die altaar wat die offer heilig? **20** Hy wat dan by die altaar sweer, sweer by die altaar en by alles daarop, **21** en hy wat by die tempel sweer, sweer by die tempel en by die Een wat daarin woon,^h **22** en hy wat by die hemel sweer, sweer by die troon van God en by die Een wat daarop sit.

23 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs! Want julle gee

23:14 *Sien Aanh. A3. **23:15** *Of "bekeerde". ^f Sien Woordelys.

die tiende van die kruisement en die dille en die komyn,^a maar julle het die belangriker sake van die Wet geïgnoreer, naamlik geregtigheid,^b genade^c en getrouheid. Dit was nodig dat julle hierdie dinge doen, maar sonder om die ander dinge te ignoreer.^d **24** Blinde gidsel^e Julle sif die muggie^f uit maar julle sluk die kameel^g in!

25 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs! Want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon,^h maar aan die binnekant is dit vol gierigheid^{*i} en selfsug.^j **26** Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat die buitekant ook skoon kan word.

27 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs!^k Want julle is soos grafte wat wit geverf is. Aan die buitekant lyk dit wel mooi, maar aan die binnekant is dit vol beendere van dooie mense en allerhande onreinheid. **28** Net so lyk julle ook vir mense van buite af regverdig, maar aan die binnekant is julle vol skynheiligheid en wetteloosheid.^m

29 "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs!ⁿ Want julle bou die grafte van die profete en versier die grafte^{*o} van die regverdiges,^o **30** en julle sê: 'As ons in ons voorvaders se tyd gelewe het, sou ons nie die profete saam met hulle doodgemaak het nie.' **31** Daarom getuig julle teen julleself dat julle kinders is van dié wat die profete vermoor het.^p **32** Maak dan die maathouer van julle voorvaders vol.

23:25 *Of "plunder". 23:29 *Of "gedenkgrafte".

HFST. 23
 a Le 27:30
 b Mi 6:8
 Joh 7:24
 c Mt 9:13
 Mt 12:7
 d Lu 11:42
 e Mt 15:14
 f Le 11:23
 g Le 11:4
 h Mr 7:3, 4
 i Mr 12:38, 40
 j Lu 11:39
 k Lu 12:56
 l Lu 11:44
 Han 23:3
 m Lu 16:15
 n Mt 6:2
 o Lu 11:47
 p Lu 11:48
 Han 7:52
 Heb 11:32, 37

Tweede kol.
 a Mt 3:7
 Mt 12:34
 Lu 3:7
 b Mt 10:28
 Lu 12:5
 c Lu 11:49-51
 d Mt 13:52
 e Joh 16:2
 Han 7:59
 f Han 5:40
 2Kor 11:24
 g Lu 21:12
 h Ge 4:8, 10
 Heb 11:4
 i 2Kor 24:20-22
 j Joh 8:59
 Heb 11:32, 37
 k Lu 13:34
 Lu 19:41, 42
 l 1Kn 9:7, 8
 Jer 12:7
 Jer 22:5
 Mt 21:43
 Lu 21:20
 m Ps 118:26

HFST. 24
 n Mr 13:1, 2
 Lu 19:44
 Lu 21:5, 6

33 "Julle spul giftige slange,^{*a} hoe sal julle die oordeel van Gehenna^b vryspring?^b **34** Daarom stuur ek profete^c en wyse manne en openbare onderrigters^d na julle toe. Julle sal party van hulle doodmaak^e en aan pale hang, en julle sal party van hulle in julle sinagoges met gésels^f slaan^f en van stad tot stad vervolgt.^g **35** Daarom sal al die regverdige bloed wat op die aarde uitgestort is, oor julle kom, van die bloed van die regverdige Abel^h af tot die bloed van Sagari'a, die seun van Barag'ja, wat julle tussen die heiligdom en die altaar vermoor het.ⁱ **36** Ek verseker julle: Al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.

37 "Jerusalem, Jerusalem, wat die profete doodmaak en die mense wat na haar gestuur is, met klippe doodgooi^j - hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak! Maar julle wou my nie toelaat nie.^k **38** Kyk! Julle huis sal verlate word.^{*l} **39** Want ek sê vir julle: Julle sal my van nou af glad nie sien nie totdat julle sê: 'Geseënd is die een wat in Jehovah^{*m} se naam kom!'"^m

24 Terwyl Jesus van die tempel af weggegaan het, het sy dissipels na hom toe gekom om die tempelgeboue vir hom te wys. **2** Toe het hy vir hulle gesê: "Sien julle nie al hierdie dinge nie? Ek verseker julle: Hier sal beslis nie 'n klip op 'n klip gelos word wat nie afgebreek sal word nie."ⁿ

3 Terwyl hy op die Olyfberg gesit het, het die dissipels al-

23:33 *Of "Slange, addergebroedsel". 23:33, 34 *Sien Woordelys. 23:38 *Of moontlik "word verwoes vir julle agtergelaat". 23:39 *Sien Aanh. A5.

leen na hom toe gekom en gevra: "Sê vir ons: Wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees van u teenwoordigheid*^a en dat die einde van die wêreldstelsel naby is?"^b

4 Jesus het hulle geantwoord en gesê: "Pasop dat niemand julle mislei nie,^c **5** want baie sal kom en my naam gebruik en sê: 'Ek is die Christus,' en hulle sal baie mense mislei.^d **6** Julle sal van oorloë en berigte van oorloë hoor. Moenie bang wees nie, want hierdie dinge moet gebeur, maar dit is nog nie die einde nie.^e

7 "Want nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk,^f en daar sal voedseltekorte^g en aardbewings op die een plek ná die ander wees.^h **8** Al hierdie dinge is die begin van 'n baie moeilike tyd.*

9 "Dan sal mense julle vervolgⁱ en julle doodmaak,^j en julle sal deur al die nasies gehaat word as gevolg van my naam.^k **10** Baie sal dan ook gestruikel word en mekaar verraai en mekaar haat. **11** Baie valse profete sal verskyn, en hulle sal baie mense mislei.^l **12** En omdat daar al hoe meer wetteloosheid sal wees, sal die liefde van die meeste mense afkoel. **13** Maar die een wat tot die einde toe volhard, sal gered word.^m **14** Hierdie goeie nuus van die Koninkryk sal oor die hele bewoonde aarde verkondig word as 'n getuigenis vir al die nasies,ⁿ en dan sal die einde kom.

15 "Wanneer julle dan die walglike ding wat verwoesting veroorsaak, waarvan die profeet Daniël gepraat het, in

24:3, 27 *Sien Woordelys. **24:3** ^aOf "en van die voleinding van die stelsel van dinge". Sien Woordelys. **24:8** *Lett. "van geboortepyne".

HFST. 24

- a Mt 24:27
Mt 24:37-39
b Mt 13:39
Mt 28:20
Mr 13:3, 4
Lu 21:7
c Mr 13:5, 6
Lu 21:8
d Mt 24:24
e Mr 13:7
Lu 21:9
f Op 6:4
g Han 11:28
Op 6:6
h Mr 13:8
Lu 21:10, 11
i Joh 15:20
Han 11:19
Op 2:10
j Joh 16:2
Han 7:59
Han 12:1, 2
Op 6:11
k Mt 10:17, 22
Mr 13:9, 13
Lu 21:12, 13
Lu 21:17
Joh 15:21
2Ti 3:12
l Mt 7:15
1Ti 4:1
2Pe 2:1
m Mt 10:22
Mr 13:13
Lu 21:19
Heb 10:36
n Mt 9:35
Mt 28:19, 20
Mr 13:10
Op 14:6

Tweede kol.

- a Da 9:27
Da 11:31
Da 12:11
Mr 13:14-18
Lu 21:20
b Lu 21:21-23
c Lu 21:23
Op 7:14
d Da 12:1
Mr 13:19
e Mr 13:20
f Mt 24:5
g Mr 13:21-23
h Mt 7:15
2Pe 2:1
i Mt 7:22, 23
2Te 2:9
j Lu 17:23
k Lu 17:24
l Lu 17:37
m Jl 2:31

'n heilige plek sien staan^a (hier het die leser insig nodig), **16** moet die mense wat in Jude'a is, na die berge begin vlug.^b **17** Laat die man wat op die dak is, nie afkom om die goed uit sy huis te gaan haal nie, **18** en laat die man wat op die landery is, nie teruggaan om sy bo-kleed te gaan haal nie. **19** Dit sal 'n verskriklike tyd wees vir die swanger vrouens en vir dié wat in daardie dae 'n baba borsvoed! **20** Hou aan bid dat julle nie in die winter of op die Sabbatdag moet vlug nie, **21** want dan sal daar groot verdrukking^c wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie plaasgevind het nie, en ook nie weer sal plaasvind nie.^d **22** Om die waarheid te sê, as daardie dae nie verkort word nie, sal niemand* gered word nie, maar weens dié wat uitgekies is, sal daardie dae verkort word.^e

23 "As iemand dan vir julle sê: 'Kyk! Hier is die Christus,'^f of: 'Daar is hy!' moet julle dit nie glo nie.^g **24** Want valse christusse en valse profete^h sal verskyn en sal groot tekens en wonderwerke doen om selfs dié wat uitgekies is, te probeer mislei.ⁱ **25** Maar onthou, ek het julle vooraf gewaarsku. **26** As mense dan vir julle sê: 'Kyk! Hy is in die wildernis,' moet julle nie uitgaan nie. Of as hulle sê: 'Kyk! Hy is in die binnekamers,' moet julle dit nie glo nie.^j **27** Want net soos die weerlig uit die ooste kom en tot in die weste skyn, so sal die teenwoordigheid* van die Seun van die mens wees.^k **28** Waar die karkas ook al is, daar sal die arende bymeekaarkom.^l

29 "Onmiddellik ná die verdrukking van daardie dae sal die son donker word,^m en die

24:22 *Lett. "geen vlees".

maan sal nie sy lig gee nie, en die sterre sal uit die hemel val, en die kragte van die hemel sal geskud word.^a **30** Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en al die stamme van die aarde sal treur,^b en hulle sal die Seun van die mens^c met krag en groot heerlikheid op die wolke van die hemel sien kom.^d **31** Hy sal sy engele uitstuur met 'n harde trompetgeluid, en hulle sal dié wat vir hom uitgekies is, bymeekaarmaak uit die vier windrigtings, van die een einde van die hemel af tot by die ander einde daarvan.^e

32 "Leer nou uit die volgende illustrasie van die vyeboom: Sodra sy jong takkies uitloop en die boom blare kry, weet julle dat die somer naby is.^f **33** Net so moet julle, wanneer julle al hierdie dinge sien, ook weet dat hy naby is, voor die deur.^g **34** Ek verseker julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur nie. **35** Hemel en aarde sal verdwyn, maar my woorde sal nooit verdwyn nie.^h

36 "Niemand weet wanneer daardie dag en uur sal kom nie,ⁱ nie die engele van die hemel nie en ook nie die Seun nie, maar net die Vader.^j **37** Net soos die dae van Noag was,^k so sal die teenwoordigheid* van die Seun van die mens wees.^l **38** Want in die dae voor die Vloed het mense geëet en gedrink, en mans het getrou en vrouens is in die huwelik gegee, tot die dag dat Noag in die ark ingegaan het.^m **39** Hulle het geen aandag geskenk totdat die Vloed gekom het en hulle almal weggespoel het nie.ⁿ Die teenwoordigheid van die Seun van die mens sal net so wees. **40** Dan

24:37 *Sien Woordelys.

HFST. 24

a Mr 13:24, 25
Lu 21:25, 26

b Op 1:7

c Da 7:13

d Mt 26:64
Mr 13:26
Lu 21:27

e Mr 13:27

f Mr 13:28-31
Lu 21:29-33

g Jak 5:8, 9

h Lu 21:33

i 1Te 5:1, 2

j Mr 13:32
Han 1:7

k Ge 6:11-13

l Lu 17:26, 27

m Ge 7:7
Heb 11:7
1Pe 3:19, 20
2Pe 2:5

n Ge 7:23
2Pe 3:6

Tweede kol.

a Lu 17:35

b Mt 25:13
Mr 13:33
Lu 21:36

c 1Te 5:2
2Pe 3:10

d Lu 12:39, 40

e Mr 13:35

f Lu 12:42-44

g Op 16:15

h Lu 12:45, 46

i Mt 25:13

j Mt 13:42

HFST. 25

k Lu 12:35
Flp 2:15

l Joh 3:28, 29
Op 19:7

sal twee manne op die landery wees. Die een sal saamgeneem word en die ander een sal agtergelaat word. **41** Twee vrouens sal by die handmeul maal. Die een sal saamgeneem word en die ander een sal agtergelaat word.^a **42** Hou dus aan waak, want julle weet nie op watter dag julle Here kom nie.^b

43 "Maar een ding moet julle weet: As die huiseienaar weet hoe laat in die nag* die dief kom,^c sou hy wakker gebly het en nie toegelaat het dat daar by sy huis ingebreek word nie.^d

44 Daarom moet julle ook gereed wees,^e want die Seun van die mens kom op 'n uur wanneer julle dit nie verwag nie.

45 "Wie is werklik die getroue en verstandige* slaaf wat deur sy meester oor sy huis-knegte aangestel is om hulle hulle voedsel op die regte tyd te gee?^f **46** Gelukkig is daardie slaaf as sy meester hom daarmee besig vind wanneer hy kom!^g **47** Ek verseker julle: Sy meester sal hom oor al sy besittings aanstel.

48 "Maar as daardie slegte slaaf ooit in sy hart sê: 'My meester vat lank om te kom,'^h **49** en hy sy medeslawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink, **50** sal die meester van daardie slaaf op 'n dag en 'n uur kom wanneer hy dit nie verwag nieⁱ **51** en hy sal hom baie swaar straf en hom 'n plek by die skynheiliges gee. Daar sal hy huil en op sy tande kners.^j

25 "Dan kan die Koninkryk van die hemel vergelyk word met tien maagde wat hulle lampe^k gevat het en uitgegaan het om die bruidegom^l te ont-

24:43 *Of "in watter nagwaak".
24:45 *Of "wyse".

moet. **2** Vyf van hulle was onverstandig, en vyf was verstandig.*^a **3** Die onverstandige maagde het hulle lampe gevat, maar hulle het geen olie saamgevat nie, **4** terwyl die verstandige maagde elkeen 'n fles olie saam met hulle lampe gevat het. **5** Die bruidegom het lank gevat om te kom, en hulle almal het vaak geword en aan die slaap geraak. **6** In die middel van die nag het iemand uitgeroep: 'Hier is die bruidegom! Gaan uit om hom te ontmoet.' **7** Toe het al die maagde opgestaan en hulle lampe reggekry.^b **8** Die onverstandige maagde het vir die verstandiges gesê: 'Gee vir ons van julle olie, want ons lampe is besig om dood te gaan.' **9** Die verstandiges het geantwoord: 'Miskien is daar nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liever na die mense wat olie verkoop en koop julle eie olie.' **10** Terwyl hulle olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Die maagde wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die huweliksfees,^c en die deur is gesluit. **11** Ná die tyd het die res van die maagde ook gekom en gesê: 'Meneer, Meneer, maak vir ons oop!'^d **12** Hy het geantwoord: 'Ek vertel julle die waarheid: Ek ken julle nie.'

13 "Hou dus aan waak,^e want julle weet nie wanneer daardie dag en uur sal kom nie.^f

14 "Dit is net soos 'n man wat op die punt gestaan het om na die buiteland te reis en wat sy slawe laat roep het en vir hulle gesê het om na sy besittings om te sien.^g **15** Hy het vir een slaaf vyf talente* gegee, vir 'n ander slaaf twee en vir nog 'n

25:2 *Of "wys". 25:15 *'n Griekse talent was gelyk aan 20,4 kg. Sien Aanh. B14.

HFST. 25

a Mt 7:24, 26

b Lu 12:35

c Op 19:9

d Lu 13:25, 27

e 1Te 5:6
Ipe 5:8

f Mt 24:42, 50
Mr 13:33

g Lu 19:12, 13

Tweede kol.

a Lu 19:15

b Lu 19:16, 17

c Lu 16:10

d Heb 12:2

e Lu 19:18, 19

f Lu 19:20-23

ander slaaf een, vir elkeen volgens sy eie vermoë, en hy het na die buiteland gegaan. **16** Onmiddellik het die een wat die vyf talente ontvang het, weggegaan en daarmee handel gedryf en nog vyf bygekry. **17** Net so het die een wat die twee ontvang het, nog twee bygekry. **18** Maar die een wat net een ontvang het, het weggegaan en 'n gat in die grond gegrawe en sy meester se geld* daarin weggesteek.

19 "Ná 'n lang tyd het die meester van daardie slawe gekom en vir hulle gevra wat hulle met sy besittings gedoen het.^a **20** Toe het die een wat die vyf talente ontvang het, met nog vyf talente vorentoe gekom en gesê: 'Meester, u het vir my vyf talente gegee. Kyk, ek het nog vyf talente bygekry.'^b **21** Sy meester het vir hom gesê: 'Mooi so, goeie en getroue slaaf! Jy was getrou oor 'n paar dinge. Ek sal jou oor baie dinge aanstel.^c Wees bly saam met jou meester.'^d **22** Daarna het die een wat die twee talente ontvang het, vorentoe gekom en gesê: 'Meester, u het vir my twee talente gegee. Kyk, ek het nog twee talente bygekry.'^e **23** Sy meester het vir hom gesê: 'Mooi so, goeie en getroue slaaf! Jy was getrou oor 'n paar dinge. Ek sal jou oor baie dinge aanstel. Wees bly saam met jou meester.'

24 "Uiteindelik het die slaaf wat die een talent ontvang het, vorentoe gekom en gesê: 'Meester, ek het geweet dat u 'n man is wat baie vereis, wat oes waar u nie gesaai het nie en bymeekaarmaak waarvoor u nie gewerk het nie.'^f **25** Toe het ek bang geword en u talent in die grond gaan wegsteek. Hier is

25:18 *Lett. "silwer". 25:24 *Of "wat u nie uitgewan het nie".

die talent wat aan u behoort.’
26 Sy meester het geantwoord: ‘Jou goddelose en lui slaaf, jy het dan geweet dat ek geoes het waar ek nie gesaai het nie en by mekaar gemaak het waar ek nie gewerk het nie. **27** Dan moes jy mos my geld* gebank het, en dan sou ek dit met rente teruggekry het toe ek gekom het.

28 “‘Vat dan nou die talent by hom en gee dit vir die slaaf wat die tien talente het.’
29 Want as iemand het, sal meer aan hom gegee word, en hy sal ’n oorvloed hê. Maar as iemand nie het nie, sal selfs wat hy het, van hom af wegge neem word.^b **30** Gooi die niks-werd slaaf uit in die duisternis daar buite. Daar sal hy huil en op sy tande kners.’

31 “Wanneer die Seun van die mens^c in sy heerlikheid kom, en al die engele saam met hom,^d sal hy op sy glorieryke troon gaan sit. **32** Al die nasies sal voor hom versamel word, en hy sal die mense van mekaar skei, net soos ’n herder die skape van die bokke skei. **33** En hy sal die skape^e aan sy regterhand sit, maar die bokke aan sy linkerhand.^f

34 “Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën is, erf die Koninkryk wat van die begin van die mensdom* af vir julle voorberei is. **35** Want ek het honger geword, en julle het vir my iets gegee om te eet. Ek het dors geword, en julle het vir my iets gegee om te drink. Ek was ’n vreemdeling, en julle het my gasvry ontvang.^g **36** Ek was kaal,* en julle het vir

25:27 *Lett. “silwer”. 25:34 *Of “grondlegging van die wêreld”. 25:36 *Of “Ek het nie genoeg klere aangehad nie”.

- HFST. 25
- a Lu 19:24-26
- b Mt 13:12
Mr 4:25
Lu 8:18
Joh 15:2
- c Da 7:13
- d Mt 16:27
- e Joh 10:14
- f Mt 25:41
- g Heb 13:2
3Jo 5
- Tweede kol.
- a Jak 2:15, 16
- b 2Ti 1:16
- c Mt 10:42
- d Spr 19:17
Mt 10:40
Mr 9:41
Heb 6:10
- e Mt 7:23
- f Mt 18:8, 9
- g Op 12:9
Op 20:10
- h Sag 2:8
Han 9:4, 5
- i 2Pe 2:9
- j Ro 2:6, 7

my klere gegee.^a Ek het siek geword, en julle het my versorg. Ek was in die tronk, en julle het my kom besoek.’^b **37** Dan sal die regverdige hom antwoord: ‘Here, wanneer het ons gesien dat u honger is en vir u kos gegee, of gesien dat u dors is en vir u iets gegee om te drink?’^c **38** Wanneer het ons gesien dat u ’n vreemdeling is en u gasvry ontvang, of gesien dat u kaal is en vir u klere gegee? **39** Wanneer het ons gesien dat u siek of in die tronk is en u kom besoek?’^d **40** Die Koning sal hulle antwoord: ‘Ek verseker julle: Alles wat julle vir een van die minste van my broers gedoen het, het julle ook vir my gedoen.’^d

41 “Dan sal hy vir dié aan sy linkerhand sê: ‘Gaan weg van my af,^e julle wat vervloek is, in die ewige vuur^f in wat vir die Duiwel en sy engele voorberei is.’^g **42** Want ek het honger geword, maar julle het vir my niks gegee om te eet nie, en ek het dors geword, maar julle het vir my niks gegee om te drink nie. **43** Ek was ’n vreemdeling, maar julle het my nie gasvry ontvang nie. Ek was kaal, maar julle het nie vir my klere gegee nie. Ek was siek en in die tronk, maar julle het my nie versorg nie.’
44 Dan sal hulle ook antwoord en sê: ‘Here, wanneer het ons gesien dat u honger of dors of ’n vreemdeling of kaal of siek of in die tronk is en u nie gehelp nie?’
45 Dan sal hy hulle antwoord: ‘Ek verseker julle: Alles wat julle nie vir een van die minste van my broers gedoen het nie, het julle ook nie vir my gedoen nie.’^h **46** Hulle sal vir ewig afgesny* word,ⁱ maar die regverdige sal die ewige lewe ontvang.’^j

25:46 *D.w.s. van die lewe. Lett. “afgekapp; afgesnoei”.

26 Nadat Jesus al hierdie dinge gesê het, het hy vir sy dissipels gesê: **2** "Julle weet dat die Pasga oor twee dae plaasvind,^a en die Seun van die mens gaan oorgelewer word om aan 'n paal gehang te word."^b

3 Toe het die hoofpriesters en die ouermanne van die volk in die binnehof van die hoëpriester, Ka'jafas, bymekaargekom.^c

4 Hulle het planne beraam^d om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak, **5** maar hulle het gesê: "Nie by die fees nie, sodat die volk nie miskien in opstand kom nie."

6 Terwyl Jesus in Beta'nië was, in die huis van Simon die melaatse,^e **7** het 'n vrou met 'n albasterfles met duur lekker-ruik-olie na hom toe gekom, en sy het dit op sy kop begin uitgooi terwyl hy aan tafel was.

8 Toe die dissipels dit sien, het hulle kwaad geword en gevra: "Hoekom mors sy die olie so?"

9 Dit kon vir baie geld verkoop word, wat dan vir die armes gegee kon word."^f **10** Jesus het dit opgemerk en vir hulle gesê: "Hoekom maak julle dit so moeilik vir die vrou? Sy het iets goeds vir my gedoen. **11** Want julle het altyd die armes by julle,^g maar julle sal my nie altyd hê nie."^g

12 Toe sy hierdie olie op my liggaam uitgereg het, het sy dit gedoen om my vir my begraving voor te berei.^h **13** Ek verseker julle: Oral waar hierdie goeie nuus in die wêreld verkondig word, sal wat hierdie vrou gedoen het, ook vertel word, en sy sal hiervoor onthou word."ⁱ

14 Toe het een van die Twaalf, die een wat Judas Iska'riot^j genoem is, na die hoofpriesters toe gegaan^k **15** en gevra: "Wat sal julle vir my gee om hom aan julle te verraa?"^l

HFST. 26

- a Eks 12:14
Mr 14:1, 2
Lu 22:1, 2
Joh 13:1
- b Mt 16:21
Mt 20:18, 19
Mt 27:26
Mr 15:15
Joh 19:16
- c Mt 26:57
Lu 3:2
Joh 11:49
Joh 18:13, 24
- d Ps 2:2
- e Mr 14:3-9
Joh 12:1-8
- f De 15:11
- g Mr 14:7
- h Mr 14:8
Joh 12:7
- i Mr 14:9
- j Mt 10:2, 4
Joh 13:2
- k Mr 14:10, 11
Lu 22:3-6
- l Joh 11:57

Tweede kol.

- a Eks 21:32
Sag 11:12
Mt 27:3
- b Eks 12:18
Eks 23:15
Lu 22:1
- c Mr 14:12-16
Lu 22:7-13
- d De 16:6
- e Mr 14:17-21
Lu 22:14
- f Lu 22:21-23
Joh 6:70
Joh 13:21, 22
- g Ps 41:9
Mr 14:20
Lu 22:21
Joh 13:26
- h De 27:25
- i Lu 22:22
Joh 17:12
- j Mr 14:21
- k 1Kor 10:16
- l Mr 14:22
Lu 22:19
1Kor 11:23-26

Hulle het vir hom 30 silwerstukke^a aangebied. **16** Daarom het hy van toe af na 'n goeie geleentheid gesoek om hom te verraa.

17 Op die eerste dag van die Ongesuurde Brode^b het die dissipels na Jesus toe gekom en gevra: "Waar wil u hê moet ons gaan voorberei sodat u die Pasga kan eet?"^c **18** Hy het gesê: "Gaan in die stad na So-en-so toe en sê vir hom: 'Die Leermeester sê: "Die tyd wat vir my vasgestel is, is naby. Ek sal die Pasga saam met my dissipels in jou huis vier."^d **19** Toe het die dissipels gedoen wat Jesus vir hulle gesê het, en hulle het vir die Pasga voorberei.

20 Toe dit aand geword het,^e was hy saam met die 12 dissipels aan tafel.^e **21** Terwyl hulle geet het, het hy gesê: "Hiervan kan julle seker wees: Een van julle sal my verraa."^f

22 Hulle was baie hartseer hieroor, en daarom het elkeen van hulle vir hom begin vra: "Here, dit is tog seker nie ek nie?" **23** Hy het geantwoord: "Die een wat sy hand saam met my in die bak steek, is die een wat my sal verraa."^g **24** Dit is waar dat die Seun van die mens weggaan, net soos daar oor hom geskryf is, maar dit sal sleg gaan^h met die man deur wie die Seun van die mens verraa word!ⁱ Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."^j

25 Judas, wat op die punt gestaan het om hom te verraa, het geantwoord: "Dit is tog seker nie ek nie, Rabbi?" Jesus het vir hom gesê: "Jy het dit self gesê."

26 Terwyl hulle verder geëet het, het Jesus 'n brood geneem, en nadat hy gebid het, het hy dit gebreek^k en dit vir die dissipels gegee en gesê: "Neem, eet. Dit beteken my liggaam."^l **27** Hy het ook 'n beker geneem, 'n

dankgebed gedoen en dit vir hulle gegee en gesê: "Drink almal daaruit,^a **28** want dit beteken my 'bloed^b van die verbond',^c wat uitgestort sal word sodat baie mense^d se sondes vergewe kan word.^e **29** Maar ek sê vir julle: Ek sal beslis nie weer van hierdie wyn drink tot op die dag wanneer ek nuwe wyn saam met julle in die Koninkryk van my Vader drink nie."^f **30** Uiteindelik het hulle, nadat hulle lofliedere* gesing het, na die Olyfberg gegaan.^g

31 Toe het Jesus vir hulle gesê: "Vanaand sal julle almal struikel as gevolg van my, want daar is geskryf: 'Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word.'^h **32** Maar nadat ek opgewek is, sal ek voor julle uit gaan na Galile'a."ⁱ **33** Toe het Petrus vir hom gesê: "Al struikel al die ander as gevolg van u, sal ek nooit struikel nie!"^j **34** Jesus het vir hom gesê: "Ek verseker jou: Vanaand, voordat 'n haan kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie."^k **35** Petrus het vir hom gesê: "Selfs al moet ek saam met u sterf, sal ek nooit sê dat ek u nie ken nie."^l Al die ander dissipels het ook dieselfde gesê.

36 Toe het Jesus saam met hulle by die plek gekom wat Getse'mane^m genoem word, en hy het vir die dissipels gesê: "Sit hier terwyl ek daar gaan bid."ⁿ **37** Hy het Petrus en die twee seuns van Sebede'us saamgeneem, en hy het baie hartseer en erg ontsteld geword.^o **38** Toe het hy vir hulle gesê: "Ek is verskriklik hartseer, ja, tot die dood toe. Bly hier en bly wakker saam met my."^p **39** Hy het 'n entjie verder gegaan en met sy gesig na die grond toe

HFST. 26

- a Mr 14:23
- Lu 22:20
- b 1Kor 10:16
- c Eks 24:8
- Jer 31:31
- Heb 7:22
- d Mt 20:28
- Mr 14:24
- e Ef 1:7
- Heb 9:20, 22
- f Mr 14:25
- Lu 22:18
- g Lu 22:39
- Joh 18:1
- h Sag 13:7
- Mr 14:27, 28
- Joh 16:32
- i Mt 28:7
- Mt 28:16
- j Mr 14:29-31
- k Mr 14:30
- Lu 22:34
- Joh 13:38
- l Lu 22:33
- m Joh 18:1
- n Mr 14:32-36
- Lu 22:40
- o Jes 53:3
- p Mr 14:34

Tweede kol.

- a Heb 5:7
- b Mt 20:22
- Joh 18:11
- c Mr 14:36
- Lu 22:42
- Joh 5:30
- Joh 6:38
- Heb 10:9
- d Mr 14:37-42
- Lu 22:45
- e Mr 13:33
- 1Pe 5:8
- Op 16:15
- f Lu 18:1
- Ro 12:12
- Ef 6:18
- 1Pe 4:7
- g Mt 6:13
- Lu 22:46
- h Mr 14:38
- Ro 7:23
- i Mt 6:10
- Joh 12:27
- j Mr 14:43-47
- Lu 22:47-51
- Joh 18:3

neergeval en gebid:^a "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker^b by my verbygaan. Maar laat dit nie wees soos ek wil nie, maar soos u wil."^c

40 Hy het teruggegaan na die dissipels toe en gesien dat hulle slaap, en hy het vir Petrus gesê: "Kon julle nie eers een uur saam met my wakker bly nie?"^d **41** Hou aan waak^e en bid aanhoudend,^f sodat julle nie in versoeking kom nie.^g Die gees is natuurlik gretig,^{*} maar die vlees is swak."^h **42** Hy het weer, 'n tweede keer, weggegaan en gebid: "My Vader, as dit nie moontlik is dat dit verbygaan sonder dat ek dit drink nie, laat u wil plaasvind."^hⁱ

43 En hy het teruggekom en gesien dat hulle slaap, want hulle kon nie hulle oë oophou nie. **44** Toe het hy hulle gelos en weer weggegaan en 'n derde keer gebid en dieselfde woorde gesê. **45** Hy het teruggegaan na die dissipels en vir hulle gesê: "Op 'n tyd soos hierdie slaap julle en rus julle! Die tyd het gekom vir die Seun van die mens om verraai te word en aan sondaars oorgelewer te word. **46** Staan op, laat ons gaan. Kyk! My verraai is naby." **47** Terwyl hy nog gepraat het, het Judas, een van die Twaalf, daar aangekom. Daar was 'n groot skare by hom wat swaarde en knuppels by hulle gehad het en wat deur die hoofpriesters en die ouerманne van die volk gestuur is.^j

48 Sy verraai het met hulle afgespreek om vir hulle 'n teken te gee. Hy het gesê: "Die een wat ek soen, dit is hy. Neem hom in hegtenis." **49** En hy het reguit na Jesus toe gegaan en gesê: "Goeiedag, Rabbi!" en hy

26:41 *Of "gewillig". **26:42** *Of "geskied".

het hom gesoen. **50** Maar Jesus het vir hom gevra: "Vriend, hoekom is jy hier?"^a Toe het hulle nader gekom en Jesus gegryp en hom in hegtenis geneem. **51** Maar een van die mans wat saam met Jesus was, het sy swaard uitgetrek en dit na die slaaf van die hoëpriester geswaai en sy oor afgekap.^b **52** Toe het Jesus vir hom gesê: "Sit jou swaard terug in sy plek,^c want almal wat die swaard gebruik, sal met die swaard doodgemaak word.^d **53** Of dink jy dat ek nie my Vader kan vra om op hierdie oomblik meer as 12 legioene engele^e na my toe te stuur nie? **54** Hoe sal die Skrif wat sê dat dit so moet gebeur, dan vervul word?" **55** Op daardie oomblik het Jesus vir die skare gesê: "Het julle met swaard en knuppels gekom om my in hegtenis te neem asof ek 'n rower is? Dag ná dag het ek in die tempel gesit en die mense geleer,^f en tog het julle my nie in hegtenis geneem nie.^g **56** Maar al hierdie dinge het gebeur sodat wat die profete geskryf het,^{*} vervul sou word."^h Toe het al die dissipels hom verlaat en gevlug.ⁱ

57 Die mense wat Jesus in hegtenis geneem het, het hom weggelei na Ka'jafas,^j die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die ouermanne bymekaargekom het.^k **58** Maar Petrus het hom op 'n goeie afstand bly volg, tot by die binnehof van die hoëpriester, en nadat hy daar ingegaan het, het hy by die huisknegte gaan sit om te sien wat sou gebeur.^l

59 Intussen het die hoofpriesters en die hele Sanhe'drin valse getuienis teen Jesus gesoek om hom dood te maak,^m

26:56 *Of "die geskrifte van die profete".

HFST. 26

- a Ps 41:9
b Mr 14:47
Lu 22:50
Joh 18:10
c Joh 18:11
d Ge 9:6
e 2Kn 6:17
Da 7:10
Mt 4:11
f Lu 19:47
Joh 18:20
g Mr 14:48, 49
Lu 22:52, 53
h Ps 22:16-18
Jes 53
Da 9:26
i Sag 13:7
Mr 14:50
Joh 16:32
j Joh 18:13
k Mr 14:53, 54
Lu 22:54, 55
l Joh 18:16
m Mr 14:55-59

Tweede kol.

- a Ps 27:12
Ps 35:11
b Mt 27:39, 40
Joh 2:19
Han 6:14
c Mr 14:60-65
d Jes 53:7
Han 8:32
e Lu 22:67-71
f Da 7:13
Joh 1:51
g Ps 110:1
Lu 22:69
h Mr 14:62
Op 1:7
i Le 24:16
Joh 19:7
j Jes 50:6
k Lu 22:63, 64
l Jes 53:3
m Mr 14:66-72
Lu 22:54-62
Joh 18:15-17
n Joh 18:25-27

60 maar hulle het niks gevind nie, al het baie valse getuies na vore gekom.^a Later het twee getuies gekom **61** en gesê: "Hierdie man het gesê: 'Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.'"^b **62** Toe het die hoëpriester opgestaan en vir hom gevra: "Het jy niks om te sê nie? Hoor jy nie waarvan hierdie mans jou beskuldig nie?"^c **63** Maar Jesus het stilgebly.^d Toe het die hoëpriester vir hom gesê: "Ek beveel jou om voor die lewende God te sweer dat jy die waarheid sal praat en vir ons sal sê of jy die Christus, die Seun van God, is!"^e **64** Jesus het vir hom gesê: "U het dit self gesê. Maar ek sê vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens^f aan die regterhand van die Magtige sien sit^g en op die wolke van die hemel sien kom."^h **65** Toe het die hoëpriester sy bo-klere geskeur en gesê: "Hy het gelaster! Waarvoor het ons nog getuies nodig? Nou het julle self gehoor hoe hy laster. **66** Wat dink julle?" Hulle het geantwoord: "Hy verdien om te sterf."ⁱ **67** Toe het hulle in sy gesig gespoeg^j en hom met hulle vuiste geslaan.^k Ander het hom in die gesig geklap^l **68** en gesê: "Profeteer vir ons, Christus. Wie het jou geslaan?"

69 Terwyl Petrus in die binnehof gesit het, het 'n diensmeisie na hom toe gekom en gesê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër!"^m **70** Maar hy het dit voor hulle almal ontken en gesê: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." **71** 'n Ander meisie het hom gesien toe hy na die poorthuis gaan, en sy het vir die mense daar gesê: "Hierdie man was saam met Jesus die Nasarener."ⁿ **72** Hy het dit weer ontken en gesweer: "Ek ken nie die man nie!" **73** Ná 'n rukkie het die mense wat daar

rondgestaan het, nader gekom en vir Petrus gesê: “Jy is beslis ook een van hulle, want jou dialek* verraai jou.” **74** Toe het hy begin sweer dat hy die waarheid praat, en hy het gesê: “Ek ken nie die man nie!” En onmiddellik het ’n haan gekraai. **75** En Petrus het onthou dat Jesus gesê het: “Voordat ’n haan kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie.”^a En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

27 Toe dit oggend geword het, het al die hoofpriesters en die ouermanne van die volk bymekaargekom om planne te beraam om Jesus dood te maak.^b **2** Nadat hulle hom geboei het, het hulle hom weggelei en hom aan Pilatus, die goewerneur, oorgelewer.^c

3 Toe Judas, sy verraaiër, sien dat Jesus veroordeel is, het hy spyt gevoel en die 30 silwerstukke na die hoofpriesters en ouermanne teruggeneem.^d **4** en gesê: “Ek het gesondig toe ek onskuldige bloed verraai het.” Hulle het gesê: “Wat het dit met ons te doen? Dit is jou probleem!” **5** Toe het hy die silwerstukke in die tempel gegooi en weggegaan. Daarna het hy homself gaan ophang.^e **6** Maar die hoofpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: “Dit mag nie in die heilige skatkamer gesit word nie, want dit is bloedgeld.” **7** Nadat hulle die saak bespreek het, het hulle die pottebakker se stuk grond met die geld gekoop om vreemdelinge daar te begrawe. **8** Daarom word daardie stuk grond tot vandag toe Bloedgrond^f genoem. **9** Toe is vervul wat deur middel van die profeet Jeremia gesê is: “En hulle het die 30 silwerstukke geneem, die

HFST. 26

a Mt 26:34
Mr 14:30
Joh 13:38

HFST. 27

b Mr 15:1
Lu 22:66

c Ps 2:2
Mt 20:18, 19
Lu 23:1
Joh 18:28
Han 3:13

d Mt 26:14, 15
Mr 14:10, 11

e Han 1:16, 18

f Han 1:19

Tweede kol.

a Sag 11:12, 13

b Mr 15:2-5
Lu 23:3
Joh 18:33, 37

c Jes 53:7
Mt 26:63
Joh 19:9

d Mr 15:6-10
Joh 18:39

e Lu 23:18
Joh 18:40
Han 3:14

f Mr 15:11-14

prys wat vir die man vasgestel is, die een vir wie ’n prys vasgestel is deur party van die Israëliete, **10** en hulle het dit vir die pottebakker se stuk grond gegee, volgens wat Jehovah* my beveel het.”^a

11 Jesus het toe voor die goewerneur gestaan, en die goewerneur het vir hom gevra: “Is jy die Koning van die Jode?” Jesus het geantwoord: “U het dit self gesê.”^b **12** Maar terwyl hy deur die hoofpriesters en ouermanne beskuldig is, het hy niks gesê nie.^c **13** Toe het Pilatus vir hom gevra: “Hoor jy nie al die dinge waarvan hulle jou beskuldig nie?” **14** Maar hy het hom nie geantwoord nie, nee, hy het nie ’n woord gesê nie, en die goewerneur was baie verbaas.

15 By elke fees het die goewerneur gewoonlik vir die skare ’n gevangene van hulle keuse vrygelaat.^d **16** In daardie tyd het hulle ’n berugte misdadiger met die naam Barab’bas gevange gehou. **17** Pilatus het dus vir die mense wat daar bymekaargekom het, gevra: “Watter een wil julle hê moet ek vir julle vrylaat: Barab’bas of Jesus die sogenaamde Christus?” **18** Want Pilatus het geweet dat hulle hom uit jaloesie* oorgelewer het. **19** En terwyl hy op die registerstoel gesit het, het sy vrou vir hom die volgende boodskap gestuur: “Jy moet niks met daardie regverdige man te doen hê nie, want ek het vandag in ’n droom baie gely as gevolg van hom.” **20** Maar die hoofpriesters en die ouermanne het die skare oorreed om te vra dat Barab’bas vrygelaat moet word,^e maar dat Jesus doodgemaak moet word.^f **21** Die goe-

27:10 *Sien Aanh. A5. 27:18 *Of “afguns”.

26:73 *Of “aksent”.

werneur het vir hulle gevra: "Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?" Hulle het gesê: "Barab'bas." **22** Pilatus het vir hulle gevra: "Wat moet ek dan met Jesus die so-genaamde Christus doen?" Hulle het almal gesê: "Hang hom aan die paal!"^a **23** Toe vra hy: "Hoekom? Wat het hy gedoen wat sleg is?" Maar hulle het al hoe harder uitgeroep: "Hang hom aan die paal!"^b

24 Toe Pilatus sien dat hy niks bereik nie, maar dat 'n oproer besig was om te ontstaan, het hy water geneem en sy hande voor die skare gewas en gesê: "Ek is nie verantwoordelik vir hierdie man se bloed nie. Dit is julle saak." **25** Toe het die hele volk geantwoord: "Ons en ons kinders sal verantwoordelikheid neem vir sy bloed."^c **26** Hy het Barab'bas toe vir hulle vrygelaat, maar hy het Jesus met 'n sweep laat slaan^d en hom oorgelewer om aan 'n paal gehang te word.^e

27 Toe het die goewerneur se soldate Jesus in die goewerneur se woning laat ingaan en die hele afdeling rondom hom bymekaar laat kom.^f **28** En hulle het sy klere uitgetrek en 'n helderrooi mantel om hom gehang,^g **29** en hulle het 'n kroon van dorings geveg en dit op sy kop gesit en 'n riet in sy regterhand gesit. Hulle het voor hom gekniel en hom bespot en gesê: "Goeiedag, Koning van die Jode!" **30** Hulle het op hom gespoeg^h en die riet gevat en hom op sy kop begin slaan. **31** Uiteindelik, nadat hulle hom bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en sy bo-klere vir hom aangetrek en hom weggelei om aan 'n paal gehang te word.ⁱ

32 Terwyl hulle uitgegaan het, het hulle 'n man van Sire'ne met die naam Simon ge-

HFST. 27

- a Lu 23:21
b Lu 23:23
Han 3:13
c Han 5:27, 28
1Te 2:14, 15
d Lu 18:33
Joh 19:1
e Mr 15:15
Lu 23:25
f Mr 15:16-20
g Joh 19:2, 3
h Jes 50:6
Mt 26:67
i Jes 53:7
Mt 20:18, 19

Tweede kol.

- a Mr 15:21
Lu 23:26
b Mr 15:22-24
Lu 23:33
Joh 19:17
c Ps 69:21
d Ps 22:18
Mr 15:24
Lu 23:34
Joh 19:23, 24
e Mr 15:26
Lu 23:38
Joh 19:19
f Jes 53:12
Mr 15:27
Lu 23:33
Joh 19:18
g Lu 18:32
Heb 12:3
h Ps 22:7
Ps 109:25
i Mt 26:60, 61
Joh 2:19
j Mr 15:29-32
k Lu 23:35
l Joh 1:49
Joh 12:13
m Ps 22:8
n Mr 14:62
Joh 5:18
Joh 10:36
o Lu 23:39
p Mr 15:33
Lu 23:44

vind. Hulle het hierdie man gedwing om Jesus se folterpaal* te dra.^a **33** Toe het hulle by 'n plek gekom wat *Golgota* genoem word. Dit beteken "skedelplek".^b **34** Daar het hulle vir hom wyn gegee wat met gal* gemeng is,^c maar toe hy dit proe, het hy geweier om dit te drink. **35** Nadat hulle hom aan die paal gehang het, het hulle sy bo-klere onder mekaar verdeel deur die lot te werp.^d **36** En hulle het daar gesit en wag gehou. **37** Hulle het ook 'n bord bokant sy kop gesit waarop die aanklag teen hom geskryf is: "Dit is Jesus, die Koning van die Jode."^e

38 Toe is twee rowers langs hom aan pale gehang, een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant.^f **39** Die mense daar verbygegaan het, het hom beledig.^g Hulle het hulle koppe geskud^h **40** en gesê: "Jy wat die tempel sou afbreek en dit in drie dae sou opbou,ⁱ red jouself! As jy 'n seun van God is, kom van die folterpaal* af!"^j **41** Die hoofpriesters, die skrifgeleerdes en die ouermanne het hom ook begin bespot en gesê:^k **42** "Hy het ander gered, maar hy kan homself nie red nie! Hy is Koning van Israel.^l Laat hom nou van die folterpaal* afkom en dan sal ons in hom glo. **43** Hy het op God vertrou. Laat Hy hom nou red as Hy hom wil hê,^m want hy het gesê: 'Ek is God se Seun.'ⁿ **44** Selfs die rowers wat langs hom aan pale gehang is, het hom beledig.^o

45 Van die sesde uur* af het die hele land donker geword, tot die negende uur^p toe.^p **46** Ongeveer die negende uur het Jesus met 'n harde stem

27:32, 40, 42 *Sien Woordelys. 27:34 *'n Bitter vloeistof. 27:45 *D.w.s. omtrent 12:00. ^pD.w.s. omtrent 15:00.

uitgeroep en gesê: “Eli, Eli, lama sabagta’ni?” Dit beteken: “My God, my God, waarom het u my verlaat?”^a **47** Toe hulle dit hoor, het party van dié wat daar gestaan het, begin sê: “Hierdie man roep Eli’a.”^b **48** En onmiddellik het een van hulle gehardloop en ’n spons vol suur wyn gemaak. Hy het dit op ’n riet gesit en dit vir hom gegee om te drink.^c **49** Maar die res van hulle het gesê: “Wag! Kom ons kyk of Eli’a hom kom red.” **50** Jesus het weer met ’n harde stem uitgeroep en sy laaste asem uitgeblaas.*^d

51 Toe het die gordyn* van die heiligdom^e van bo tot onder in twee geskeur,^f en die aarde het geskud, en die rotse het geskeur. **52** En die grafte* is geopen en baie liggame van die heiliges wat gesterf het, het uitgekóm.^g **53** en baie mense kon hulle sien. (Nadat Jesus opgewek is, het mense wat van die grafte af gekóm het, in die heilige stad ingegaan.) **54** Maar toe die militêre offisier en die wagte wat Jesus bewaak het, die aardbewing sien, sowel as die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: “Hy was beslis God se Seun.”^g

55 En daar was baie vrouens wat alles van ’n afstand af dopgehou het. Hulle het saam met Jesus gegaan toe hy Galile’a verlaat het om hom te bedien.^h **56** Onder hulle was Maria Magdale’na en Maria, wat die ma van Jakobus en Joses was, asook die ma van die seuns van Sebede’us.ⁱ

57 Toe dit laatmiddag was, het ’n ryk man gekóm wat van Arimate’a was. Sy naam was Josef, en hy het ook ’n dissipel

27:50 *Of “die gees gegee; gesterf”.
27:51 *Of “voorangsel”. 27:52 *Of “gedenkgrafte”.
^a Lett. “is opgerig”.

- HFST. 27
- a Ps 22:1
Jes 53:10
Mr 15:34
- b Mr 15:35, 36
- c Ps 69:21
Lu 23:36
Joh 19:29
- d Mr 15:37
Lu 23:46
Joh 19:30
- e Eks 26:31-33
Heb 9:3
- f Mr 15:38
Lu 23:45
Heb 10:19, 20
- g Mr 15:39
- h Mr 15:40, 41
Lu 8:2, 3
- i Mt 20:20
Joh 19:25

Tweede kol.

- a Mr 15:42, 43
Lu 23:50-53
- b De 21:22, 23
- c Mr 15:45-47
Joh 19:38
- d Joh 19:40, 41
- e Jes 53:9
- f Lu 23:55
- g Mr 15:42
Lu 23:54
Joh 19:14
- h Mt 12:40
Joh 2:19
- i Mt 28:12, 13

HFST. 28

- j Mr 16:1
Lu 24:1
Lu 24:10
Joh 20:1
- k Mr 16:4, 5
Lu 24:2, 4
- l Han 1:10

van Jesus geword.^a **58** Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en vir Jesus se liggaam gevra,^b en Pilatus het beveel dat dit vir hom gegee moet word.^c **59** Josef het die liggaam geneem, dit in skoon, fyn linne toegedraai^d **60** en dit in sy nuwe graf* neergelê,^e wat hy in die rots uitgekapt het. Hy het ’n groot klip voor die ingang van die graf* gerol en toe weggegaan. **61** Maar Maria Magdale’na en die ander Maria het daar gebly en voor die graf gesit.^f

62 Die volgende dag, wat ná die Voorbereidingsdag^g was, het die hoofpriesters en die Fari-seërs voor Pilatus bymeekaargekom **63** en gesê: “Meneer, ons onthou wat daardie bedrieër gesê het toe hy nog gelewe het: ‘Ná drie dae sal ek opgewek word.’^h **64** Beveel dan dat die graf toe die derde dag toe bewaak moet word, sodat sy dissipels nie dalk kom en hom steel’ en vir die volk sê: ‘Hy is uit die dood opgewek!’ nie. Anders sal hierdie laaste bedrog erger wees as die eerste.” **65** Pilatus het vir hulle gesê: “Julle kan ’n wag kry. Pas dit so goed op as wat julle kan.” **66** Toe het hulle gegaan en die graf met ’n klip verseël en ’n wag daar geplaas.

28 Ná die Sabbat, toe dit begin lig word op die eerste dag van die week, het Maria Magdale’na en die ander Maria na die graf kom kyk.^j

2 Daar was ’n groot aardbewing, want Jehovah* se engel het uit die hemel neergedaal en gekóm en die klip weggerol, en hy het daarop gesit.^k **3** Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere was so wit soos sneeu.^l **4** Die wagte het so groot geskrik toe hulle hom sien dat hul-

27:60 *Of “gedenkgraf”. 28:2 *Sien Aanh. A5.

le gebewe het en soos dooie mans geword het.

5 Maar die engel het vir die vrouens gesê: “Moenie bang wees nie, want ek weet dat julle na Jesus soek, wat aan ’n paal gehang is.^a **6** Hy is nie hier nie, want hy is opgewek, soos hy gesê het.^b Kom kyk na die plek waar hy gelê het. **7** Gaan gou en sê vir sy dissipels dat hy uit die dood opgewek is, want hy gaan voor julle uit na Galile’a,^c en julle sal hom daar sien. Dit is wat ek vir julle gesê het.”^d

8 Toe het hulle met vrees en groot vreugde vinnig van die graf* af weggegaan en gehardloop om vir sy dissipels te gaan vertel.^e **9** Jesus het hulle ontmoet en gesê: “Goediedag!” Hulle het nader gegaan en hom aan sy voete gegryp en aan hom eer bewys.* **10** Toe het Jesus vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie! Gaan vertel my broers, sodat hulle na Galile’a kan gaan, en daar sal hulle my sien.”

11 Terwyl hulle op pad was, het party van die wagte^f in die stad ingegaan en vir die hoofpriesters alles vertel wat gebeur het. **12** Nadat hierdie manne saam met die ouermanne bymekaargekom het en die

28:8 *Of “gedenkgraf”. **28:9, 17** *Of “voor hom neergebuig”.

HFST. 28

a Mr 16:6

b Mt 16:21
Mt 17:22, 23
1Kor 15:3, 4

c Mt 26:32
Mt 28:16
Mr 14:28

d Mr 16:7

e Mr 16:8
Lu 24:9

f Mt 27:65

Tweede kol.

a Mt 27:64

b Mt 26:32

c 1Kor 15:6

d Ef 1:20, 21
Flp 2:9

e Han 1:8
Ro 10:18
Ro 11:13
Op 14:6

f Han 2:38
Han 8:12

g Han 20:20
1Kor 11:23
2Pe 3:1, 2
1Jo 3:23

h Mt 13:39
Mt 13:49
Mt 24:3

saak bespreek het, het hulle vir die soldate baie silwerstukke gegee **13** en gesê: “Julle moet sê: ‘Sy dissipels het in die nag gekom en hom gesteel terwyl ons geslaap het.’^a **14** En as die goewerneur daarvan hoor, sal ons die saak aan hom verduidelik,* en julle sal nie bekommerd hoef te wees nie.” **15** Toe het hulle die silwerstukke geneem en gedoen wat vir hulle gesê is, en hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode versprei.

16 Die 11 dissipels het eger na Galile’a gegaan,^b na die berg waar Jesus met hulle afgespreek het om hulle te ontmoet.^c **17** Toe hulle hom sien, het hulle aan hom eer bewys,* maar party het getwyfel. **18** Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Alle gesag in die hemel en op die aarde is aan my gegee.^d **19** Gaan dus en maak dissipels van mense van al die nasies,^e en doop hulle^f in die naam van die Vader en van die Seun en van die heilige gees, **20** en leer hulle om alles te gehoorsaam wat ek julle beveel het.^g En wees verseker: Ek is met julle al die dae tot aan die einde van die wêreldstelsel.”^h

28:14 *Lett. “sal ons hom oorreed”. **28:20** *Of “die voleinding van die stelsel van dinge”. Sien Woordelys.

VOLGENS

MARKUS

OORSIG

1 Johannes die Doper preek (1-8)
Jesus se doop (9-11)
Jesus deur Satan versoek (12, 13)
Jesus begin in Galilea preek (14, 15)

Eerste dissipels geroep (16-20)
Onrein gees uitgedryf (21-28)
Jesus genees baie in Kapernaum (29-34)

- Jesus bid op 'n afgeleë plek (35-39)
'n Melaatse word genees (40-45)
- 2 Jesus genees 'n verlamde man (1-12)
Jesus roep Levi (13-17)
Vraag oor vas (18-22)
Jesus, "Here van die Sabbat" (23-28)
- 3 Man met misvormde hand word genees (1-6)
Groot skare op die strand (7-12)
Die 12 apostels (13-19)
Laster teen heilige gees (20-30)
Jesus se ma en broers (31-35)
- 4 ILLUSTRASIES OOR DIE KONINKRYK (1-34)
Die saaiër (1-9)
Hoekom Jesus illustrasies gebruik het (10-12)
Illustrasie van saaiër verduidelik (13-20)
Lamp nie onder 'n emmer nie (21-23)
Die maat waarmee jy uitmeet (24, 25)
Die saaiër wat slaap (26-29)
Die mosterdsaadjie (30-32)
Die gebruik van illustrasies (33, 34)
Jesus laat 'n storm bedaar (35-41)
- 5 Jesus stuur demone in varke in (1-20)
Jairus se dogter; vrou raak aan Jesus se bo-klere (21-43)
- 6 Jesus in sy tuisdorp verwerp (1-6)
Die Twaalf word opgelei vir bediening (7-13)
Dood van Johannes die Doper (14-29)
Jesus voed 5 000 (30-44)
Jesus loop op water (45-52)
Genesings in Gennesaret (53-56)
- 7 Tradisies van mense (1-13)
Onreinheid kom uit die hart (14-23)
Geloof van Siro-Fenisiëse vrou (24-30)
Dowe man genees (31-37)
- 8 Jesus voed 4 000 (1-9)
Fariseërs vra vir 'n teken (10-13)
Suurdeeg van Fariseërs en Herodes (14-21)
Blinde man in Betsaida word genees (22-26)
Petrus identifiseer die Christus (27-30)
Jesus se dood voorspel (31-33)
Ware dissipelskap (34-38)
- 9 Jesus se voorkoms verander (1-13)
Demoonbesete seun word genees (14-29)
Alles moontlik vir iemand met geloof (23)
Jesus se dood weer voorspel (30-32)
Dissipels stry oor wie belangrikste is (33-37)
Wie nie teen ons is nie, is vir ons (38-41)
Struikelblokke (42-48)
"Julle moet sout in julle hê" (49, 50)
- 10 Die huwelik en egskeiding (1-12)
Jesus seën die kinders (13-16)
'n Ryk man se vraag (17-25)
Opofferings vir die Koninkryk (26-31)
Jesus se dood weer voorspel (32-34)
Jakobus en Johannes se versoek (35-45)
Jesus 'n losprys vir baie (45)
Blinde Bartimeus word genees (46-52)
- 11 Jesus kom Jerusalem triomfantlik binne (1-11)
Vyeboom word vervloek (12-14)
Jesus reinig die tempel (15-18)
Uitgedroogde vyeboom gebruik as 'n les (19-26)
Jesus se gesag bevestig (27-33)
- 12 Illustrasie van wrede landbouers (1-12)
God en die keiser (13-17)
Vraag oor opstanding (18-27)
Twee grootste geboorte (28-34)
Is die Christus die seun van Dawid? (35-37a)
Waarskuwing teen skrifgeleerdes (37b-40)
Arm weduwee se twee muntstukies (41-44)
- 13 TYD VAN DIE EINDE (1-37)
Oorloë, aardbewings, voedseltekorte (8)
Goeie nuus sal verkondig word (10)
Groot verdrukking (19)
Koms van Seun van die mens (26)
Illustrasie van vyeboom (28-31)
Hou aan waak (32-37)
- 14 Priesters beplan om Jesus dood te maak (1, 2)

Lekkerruik-olie op Jesus uitgegooi (3-9)
 Judas verraai Jesus (10, 11)
 Die laaste Pasga (12-21)
 Here se Aandmaal ingestel (22-26)
 Jesus voorspel dat Petrus hom sal verloën (27-31)
 Jesus bid in Getsemane (32-42)
 Jesus in hegtenis geneem (43-52)

Verhoor voor die Sanhedrin (53-65)
 Petrus verloën Jesus (66-72)

- 15 Jesus voor Pilatus (1-15)
 In die openbaar bespot (16-20)
 Aan 'n paal gehang by Golgota (21-32)
 Jesus se dood (33-41)
 Jesus word begrawe (42-47)
- 16 Jesus word opgewek (1-8)

1 Die begin van die goeie nuus oor Jesus Christus, die Seun van God: **2** Net soos daar geskryf is in die boek van die profeet Jesaja: "(Kyk! Ek stuur my boodskapper voor jou uit, wat jou weg sal voorberei.)"^a **3** Iemand roep in die wildernis uit: 'Berei die weg van Jehovah* voor! Maak sy paaie reguit.'"^b **4** Johannes die Doper was in die wildernis en het verkondig dat mense hulle moet laat doop as 'n simbool van berou sodat hulle sondes vergewe kan word.^c **5** En die hele gebied van Jude'a en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gegaan, en hulle is deur hom in die Jordaanrivier gedoop,* en hulle het hulle sondes openlik bely.^d **6** Johannes het klere van kameelhaar en 'n leerlyfband om sy middel gedra,^e en hy het sprinkane en wilde heuning geëet.^f **7** En hy het gepreek: "Ná my kom iemand wat sterker as ek is, en ek is nie eers waardig om te buk en die rieme van sy sandale los te maak nie."^g **8** Ek het julle met water gedoop, maar hy sal julle met heilige gees doop."^h

9 In daardie dae het Jesus uit Na'saret in Galile'a gekom,

1:3 *Sien Aanh. A5. 1:5 *Of "onderdompel".

HFST. 1

- a Mal 3:1
 Mt 3:1, 3
 Mt 11:10
 Lu 3:2-6
 Lu 7:27
- b Jes 40:3
 Joh 1:23
- c Mt 3:1, 2
 Han 13:24
 Han 19:4
- d Mt 3:5, 6
- e 2Kn 1:8
- f Mt 3:4
- g Lu 3:16
 Joh 1:26, 27
 Han 13:25
- h Jl 2:28
 Han 2:1, 4
 Han 11:16
 1Kor 12:13

Tweede kol.

- a Mt 3:13
 Lu 3:21, 22
- b Jes 42:1
 Mt 3:16
 Joh 1:32-34
- c Ps 2:7
 Mt 3:17
 Lu 3:22
 2Pe 1:17
- d Mt 4:1-10
 Lu 4:1-13
- e Mt 4:11
- f Mt 4:12
- g Lu 4:14, 15
 Lu 8:1
- h Mt 4:17
- i Mt 10:2
- j Lu 5:4
- k Mt 4:18
- l Mt 4:19, 20

en hy is deur Johannes in die Jordaanrivier gedoop.^a **10** En onmiddellik toe hy uit die water opkom, het hy die hemel sien oopgaan en die gees soos 'n duif op hom sien neerdaal.^b **11** Toe het 'n stem uit die hemel gekom wat gesê het: "Jy is my geliefde Seun. Ek het jou goedgekeur."^c

12 En die gees het hom onmiddellik in die wildernis laat ingaan. **13** Hy het 40 dae in die wildernis gebly, waar hy deur Satan versoek is.^d Hy was saam met die wilde diere, maar die engele het in sy behoeftes voorsien.*^e

14 En nadat Johannes in hegtenis geneem is, het Jesus na Galile'a gegaan en die goeie nuus van God verkondig^g **15** en gesê: "Die vasgestelde tyd is hier, en die Koninkryk van God het naby gekom. Toon berou^h en stel geloof in die goeie nuus."

16 Terwyl hy langs die See van Galile'a geloop het, het hy Simon en sy broer Andre'asⁱ gesien, wat besig was om hulle nette in die see uit te gooi,^j want hulle was vissermanne.^k **17** Toe het Jesus vir hulle gesê: "Kom volg my, en ek sal julle vissers van mense maak."^l

1:13 *Of "het hom versterk".

18 Hulle het dadelik hulle nette gelos en hom gevolg.^a **19** Nadat hy 'n entjie verder gegaan het, het hy Jakobus, die seun van Sebede'us, en sy broer Johannes gesien terwyl hulle in hulle boot besig was om hulle nette reg te maak,^b **20** en hy het hulle dadelik geroep. Hulle het hulle pa, Sebede'us, by die gehuurde werkers in die boot gelos en hom gevolg. **21** Toe het hulle in Kaper'naum aangekom.

Kort nadat die Sabbat begin het, het hy in die sinagoge ingegaan en die mense begin leer.^c **22** En hulle was verstom oor die manier waarop hy geleer het, want hy het hulle geleer soos iemand wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.^d **23** Op daardie oomblik was daar 'n man in hulle sinagoge wat onder die beheer van 'n onrein gees was, en hy het geskree: **24** "Wat het ons met jou te doen, Jesus die Narsarener?"^e Het jy gekom om ons te vernietig? Ek weet presies wie jy is: die Heilige van God!"^f **25** Maar Jesus het streng met hom gepraat en gesê: "Bly stil, en kom uit hom uit!" **26** En nadat die onrein gees die man 'n stuip trekking laat kry het en so hard geskree het as wat hy kon, het hy uit die man uitgekrom. **27** Die mense was almal so verstom dat hulle dit onder mekaar begin bespreek het en gesê het: "Wat is dit? 'n Nuwe lering! Hy beveel selfs die onrein geeste met gesag, en hulle gehoorsaam hom." **28** En die nuus oor hom het vinnig deur die hele Galile'a versprei.

29 Toe het hulle uit die sinagoge gegaan en saam met Jakobus en Johannes na die huis van Simon en Andre'as gegaan.^g **30** Simon se skoonma^h het siek

HFST. 1

a Mt 19:27
Lu 5:11

b Mt 4:21, 22

c Lu 4:31-37

d Mt 7:28, 29

e Mt 8:28, 29

f Jak 2:19

g Mt 8:14, 15
Lu 4:38, 39

h 1Kor 9:5

Tweede kol.

a Mt 8:16
Lu 4:40, 41

b Jes 53:4

c Mt 14:23
Mr 14:32
Lu 4:42
Heb 5:7

d Jes 61:1
Lu 4:43
Joh 17:4

e Mt 4:23

f Mt 8:1, 2
Lu 5:12

g Mt 8:3
Lu 5:13

in die bed gelê met koors, en hulle het Jesus dadelik van haar vertel. **31** Toe het hy na haar gegaan, haar hand gevat en haar opgehelp. Die koors het verdwyn, en sy het hulle begin bedien.

32 Daardie aand, nadat die son gesak het, het die mense almal wat siek was en almal in wie daar demone was, na hom toe begin bring,^a **33** en die hele stad het reg voor die deur bymekaargekom. **34** Toe het hy baie mense genees wat aan alderhande siektes gely het,^b en hy het baie demone uitgedryf, maar hy het die demone nie toegelaat om enigiets te sê nie, want hulle het geweet dat hy Christus is.*

35 Vroeg die oggend, terwyl dit nog donker was, het hy opgestaan en buitentoe gegaan, na 'n afgeleë plek, en daar het hy begin bid.^c **36** Maar Simon en dié wat by hom was, het hom gaan soek. **37** Toe hulle hom kry, het hulle vir hom gesê: "Almal soek u." **38** Hy het vir hulle gesê: "Laat ons êrens anders gaan, na die dorpe hier naby, sodat ek ook daar kan preek, want dit is hoekom ek gekom het."^d **39** En hy het gegaan en deur die hele Galile'a in hulle sinagoges gepreek en die demone uitgedryf.^e

40 Daar het ook 'n melaatse na Jesus toe gekom, wat gekniel het en hom gesmeek het: "As u net wil, kan u my gesond* maak."^f **41** En omdat hy baie jammer gevoel het vir die man, het hy sy hand uitgesteek, aan hom geraak en vir hom gesê: "Ek wil! Word gesond."^g **42** Sy melaatsheid het onmid-

1:34 *Of moontlik "hulle het geweet wie hy is". 1:40 *Lett. "rein". 1:41 *Lett. "gereinig".

dellik verdwyn, en hy het gesond* geword. **43** Toe het Jesus hom dadelik weggestuur en hom streng beveel: **44** "Moet vir niemand hiervan vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester, en offer die dinge vir jou reiniging, net soos Moses voorgeskryf het.^a Dit sal as 'n getuienis vir hulle dien."^b **45** Maar nadat die man weggegaan het, het hy dit wyd en syd begin verkondig en die nuus oral versprei. Daarom kon Jesus nie meer openlik in 'n stad ingaan nie, en hy het buite op afgeleë plekke gebly. Tog het mense van oral na hom toe bly kom.^c

2 Maar ná 'n paar dae het hy weer in Kaper'naum ingegaan, en die nuus het versprei dat hy by die huis is.^d **2** Toe het daar so baie mense bymeekaargekom dat daar nie meer plek was nie, nie eers by die deur nie, en hy het die woord van God aan hulle begin bekend maak.^e **3** Hulle het 'n verlamde man na hom toe gebring wat deur vier mans gedra is.^f **4** Maar as gevolg van die skare kon hulle hom nie tot by Jesus bring nie, en daarom het hulle 'n opening in die dak bokant Jesus gemaak. Daarna het hulle die draagbed waarop die verlamde man gelê het, laat sak. **5** Toe Jesus hulle sterk geloof sien,^g het hy vir die verlamde man gesê: "Kind, jou sondes is vergewe."^h **6** En party van die skrifgeleerdes het daar gesit en by hulleself gedink:ⁱ **7** "Hoekom praat hierdie man so? Hy laster. Niemand behalwe God kan sondes vergewe nie."^j **8** Maar Jesus het onmiddellik besef dat hulle só onder mekaar redeneer, en daarom het hy vir hul-

1:42 *Lett. "rein". 2:6 *Lett. "en in hulle harte geredeneer".

HFST. 1

a Le 14:3, 4
Le 14:10, 11
De 24:8

b Mt 8:4
Lu 5:14

c Lu 5:15

HFST. 2

d Mt 4:13
Mt 9:1

e Jes 61:1
Ef 2:17
Heb 2:3

f Lu 5:18, 19

g Han 14:9, 10

h Jes 53:11
Mt 9:2
Lu 5:20
Lu 7:47, 48

i Mt 9:3-8
Lu 5:21-26

j Jes 43:25

Tweede kol.

a Mt 9:4
Lu 6:8
Op 2:23

b Da 7:13

c Jes 53:11

d Mt 9:33
Joh 7:31
Joh 9:32

e Mt 9:9
Lu 5:27, 28

f Mt 9:10, 11
Lu 5:29, 30

le gesê: "Hoekom dink julle hierdie dinge?"^a **9** Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: 'Jou sondes is vergewe,' of om te sê: 'Staan op en tel jou bed op en loop?' **10** Maar om julle te laat besef dat die Seun van die mens^b gesag het om sondes op die aarde te vergewe . . ."^c Hy het toe vir die verlamde man gesê: **11** "Ek sê vir jou: Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe." **12** Toe het hy opgestaan en onmiddellik sy draagbed opgetel en voor hulle almal uitgeloop. Hulle almal was verstom, en hulle het God geloof en gesê: "Ons het nog nooit so iets gesien nie."^d

13 Hy het weer uitgegaan en langs die see geloop, en die hele skare het na hom toe bly kom, en hy het hulle begin leer. **14** Toe hy verder loop, het hy Levi, die seun van Alfe'us, by die belastingkantoor sien sit, en hy het vir hom gesê: "Word my volgeling." Toe het hy opgestaan en hom gevolg.^e **15** Later het Jesus in Levi se huis geëet,^f en baie belastingvaarders^g en sondaars het saam met hom en sy dissipels geëet,^h want daar was baie van hulle wat hom gevolg het.ⁱ **16** Maar toe die skrifgeleerdes van die Fariseërs sien dat hy saam met die sondaars en belastingvaarders eet, het hulle vir sy dissipels gevra: "Eet hy saam met belastingvaarders en sondaars?" **17** Toe Jesus dit hoor, het hy vir hulle gesê: "Mense wat sterk is, het nie 'n dokter nodig nie, maar mense wat siek is, het wel. Ek het nie

2:8 *Lett. "Hoekom redeneer julle oor hierdie dinge in julle harte?" 2:15 *Of "was hy in Levi se huis aan tafel".^f Persone wat belasting vir die regering invorder. ^hOf "was saam met . . . aan tafel".

gekom om regverdige mense te roep nie, maar sondaars.”^a

18 Johannes se dissipels en die Fariseërs het die gewoonte gehad om te vas. Toe het hulle gekom en vir hom gevra: “Hoekom vas Johannes se dissipels en die dissipels van die Fariseërs gereeld, maar u dissipels vas nie?”^b **19** Jesus het toe vir hulle gesê: “Die vriende van die bruidegom het geen rede om te vas terwyl die bruidegom^c by hulle is nie, of hoe? Solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. **20** Maar die dae sal kom wanneer die bruidegom van hulle af wegge neem sal word,^d en dan sal hulle op daardie dag vas. **21** Niemand werk ’n stuk ongekrimpde materiaal op ’n ou bo-kleed vas nie. As hy dit doen, sal die nuwe stuk van die ou stuk lostrek, en die skeur sal erger word.^e **22** En niemand gooi nuwe wyn in ou wysakke nie. As hy dit doen, sal die wyn die sakke laat bars, en dan is die wyn verlore en die sakke stukkend. Maar nuwe wyn word in nuwe wysakke gegooi.”

23 En terwyl hy op die Sabbat deur die graanlande geloop het, het sy dissipels graanare begin pluk.^f **24** Toe het die Fariseërs vir hom gesê: “Kyk hier! Hoekom doen hulle iets wat ’n mens nie op die Sabbat mag doen nie?” **25** Maar hy het vir hulle gesê: “Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy niks gehad het om te eet en hy en die manne by hom honger was nie?”^g **26** Volgens die verslag oor die hoofpriester Abja’tar^h het hy in die huis van God ingegaan en die offerbrode* geëet, al was net die priesters toegelaat om daar-

2:26 *Of “die aanbiedingsbrode”.

HFST. 2

a Jes 61:1
Mt 9:12, 13
Lu 5:31, 32
Lu 19:10
1Ti 1:15

b Mt 9:14, 15
Lu 5:33-35

c Mt 22:2
2Kor 11:2
Op 19:7

d Lu 17:22

e Mt 9:16, 17
Lu 5:36-38

f Mt 12:1-8
Lu 6:1-5

g 1Sa 21:1-6

h 1Sa 22:20

Tweede kol.

a Eks 25:30
Le 24:5-9

b Eks 20:9, 10

c Mt 12:8
Lu 6:5

HFST. 3

d Mt 12:9-14
Lu 6:6-11

e Lu 14:1-3

f Joh 12:39, 40

g Mt 22:16
Mr 12:13

h Mt 12:15

van te eet,^a en hy het ook vir die manne by hom daarvan geger. **27** Toe het hy vir hulle gesê: “Die Sabbat is daar vir die mens,^b en nie die mens vir die Sabbat nie. **28** Die Seun van die mens is dus selfs Here van die Sabbat.”^c

3 Hy het weer in ’n sinagoge ingegaan, en daar was ’n man met ’n misvormde* hand.^d **2** En hulle het hom fyn dopgehou om te sien of hy die man op die Sabbat sou genees, sodat hulle hom kon beskuldig. **3** Hy het vir die man met die misvormde* hand gesê: “Staan op en kom na die middel toe.” **4** Daarna het hy vir hulle gevra: “Mag ’n mens op die Sabbat iets goeds of iets slegs doen, iemand se lewe* red of hom doodmaak?”^e Maar hulle het stilgebly. **5** Jesus het hulle kwaad aangekyk en was baie hartseer omdat hulle harte so ongevoelig was.^f Hy het vir die man gesê: “Steek jou hand uit.” En hy het dit gedoen, en sy hand het gesond geword. **6** Toe het die Fariseërs uitgegaan en onmiddellik saam met Herodes se ondersteuners^g planne beraam om hom dood te maak.

7 Maar Jesus het saam met sy dissipels na die see vertrek, en ’n groot skare uit Galile’a en uit Jude’a het hom gevolg.^h **8** Selfs uit Jerusalem en uit Idume’a en van oorkant die Jordaanrivier en uit die omgewing van Tirus en Sidon het ’n groot skare na hom toe gekom toe hulle hoor van al die dinge wat hy doen. **9** En hy het vir sy dissipels gesê om ’n bootjie vir hom gereed te hou sodat die skare nie van alle kante af teen hom sou druk nie. **10** Omdat hy baie mense ge-

3:1, 3 *Of “verlamde”. 3:4 *Of “siel”.

nees het, het almal met ernstige siektes om hom saamgedrom om aan hom te raak.^a **11** Selfs die onrein geeste^b het, elke keer as hulle hom gesien het, voor hom neergeval en uitgeroep en gesê: “U is die Seun van God.”^c **12** Maar dikwels het hy hulle streng beveel om nie bekend te maak wie hy is nie.^d

13 Hy het teen 'n berg opgegaan en dié wat hy gekies het,^e na hom toe geroep, en hulle het na hom toe gekom.^f **14** Hy het 'n groep van 12 gevorm,* wat hy ook apostels genoem het. Dit is hulle wat saam met hom sou gaan en wat hy sou uitstuur om te preek **15** en aan wie hy die gesag sou gee om demone uit te dryf.^g

16 Die groep van 12^h wat hy gevorm* het, het bestaan uit Simon, aan wie hy ook die naam Petrusⁱ gegee het, **17** Jakobus, die seun van Sebede'us, en Johannes, die broer van Jakobus (hy het hulle ook die naam Boner'ges gegee, wat “seuns van die donder” beteken),^j **18** Andre'as, Filippus, Bartolome'us, Matte'us, Tomas, Jakobus, die seun van Alfa'us, Tadde'us, Simon, die Kananeër,* **19** en Judas Iska'riot, wat hom later verrai het.

Toe het hy in 'n huis ingegaan, **20** en die skare het weer so om hulle saamgedrom dat hulle nie eers iets kon eet nie. **21** Maar toe sy familieëde hiervan hoor, het hulle gegaan om hom te gaan haal, want hulle het gesê: “Hy het van sy kop af geraak.”^k **22** En die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: “Hy het Beël'sebub* in hom, en hy

3:14, 16 *Of “aangestel”. 3:18 *Of “die ywerige”. 3:22 *n Naam vir Satan.

HFST. 3

a Mt 9:20, 21
Mr 5:27, 28
Mr 6:56

b Mt 8:31

c Mr 1:23, 24
Mr 5:7
Lu 4:41d Mt 12:15, 16
Mr 1:25

e Joh 15:16

f Lu 6:12, 13

g Mt 10:1

h Mt 10:2-4
Lu 6:14-16
Han 1:13

i Joh 1:42

j Lu 9:54

k Joh 7:5

Tweede kol.

a Mt 9:34
Mt 10:25
Mt 12:24-29
Lu 11:15
Joh 8:48

b Lu 11:17, 18

c Mt 12:31, 32
Lu 12:10d Heb 6:4, 6
Heb 10:26e Joh 7:20
Joh 10:20f Mt 13:55
Joh 2:12
Han 1:14g Mt 12:46-50
Lu 8:19-21

h Mr 6:3

i Mt 12:49
Heb 2:11j Mt 12:50
Lu 8:21
Joh 15:14

dryf die demone uit deur middel van die heerser van die demone.”^a **23** Nadat hy hulle na hom toe geroep het, het hy illustrasies gebruik en vir hulle gesê: “Hoe kan Satan Satan uitdryf? **24** As 'n koninkryk verdeel raak, kan daardie koninkryk nie bly staan nie,^b **25** en as 'n huis verdeel raak, sal daardie huis nie kan bly staan nie. **26** En as Satan teen homself opgestaan het en verdeel geraak het, kan hy nie bly staan nie, maar kom hy tot 'n einde. **27** Om die waarheid te sê, niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan en sy besittings steel as hy nie die sterk man eers vooraf vasbind nie. Slegs dan kan hy alles in sy huis vat. **28** Ek verseker julle: Mense sal alles vergewe word, ongeag watter sondes hulle pleeg en watter lasterlike dinge hulle sê. **29** Maar enigiemand wat teen die heilige gees laster, het tot in ewigheid geen vergifnis nie,^c maar is skuldig aan ewige sonde.”^d **30** Hy het dit gesê omdat hulle gesê het: “Hy het 'n onrein gees in hom.”^e

31 En sy ma en sy broers^f het gekom, en terwyl hulle buite gestaan het, het hulle iemand ingestuur om hom te roep.^g **32** 'n Skare het om hom gesit en hulle het vir hom gesê: “Kyk! U ma en u broers is buite en hulle roep u.”^h **33** Maar hy het hulle geantwoord: “Wie is my ma en my broers?” **34** Toe het hy gekyk na dié wat rondom hom gesit het en gesê: “Kyk, hier is my ma en my broers!” **35** Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en suster en ma.”ⁱ

4 Hy het weer mense langs die see begin leer, en 'n baie groot skare het naby hom bymekaargekom. Toe het hy in 'n

boot op die see geklim en daarin gaan sit, maar die hele skare was langs die see, op die strand.^a **2** En hy het hulle baie dinge deur middel van illustrasies begin leer,^b en hy het vir hulle gesê:^c **3** “Luister! Die saaiër het uitgegaan om te saai.^d **4** Terwyl hy gesaai het, het van die saad langs die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgeëet. **5** Ander saad het op ’n rotsagtige plek geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het onmiddellik opgeskiet omdat die grond nie diep was nie.^e **6** Maar toe die son opkom, is dit verskroei, en omdat dit nie wortels gehad het nie, het dit uitgedroog. **7** Nog ander saad het tussen die dorings geval, en die dorings het opgekom en gekeer dat dit verder groei, en dit het geen vrug gedra nie.^f **8** Maar ander saad het op die goeie grond geval, en dit het gegroei en toegeneem en vrug begin dra: 30, 60 en 100 keer soveel.”^g **9** Toe het hy bygevoeg: “Laat die een wat ore het om te luister, luister.”^h

10 Toe hy alleen was, het dié wat saam met die Twaalf rondom hom was, hom oor die illustrasies begin uitvra.ⁱ **11** Hy het vir hulle gesê: “Die heilige geheim^j van die Koninkryk van God is aan julle gegee, maar vir dié wat buite is, is alles net in illustrasies.^k **12** Daarom sal hulle kyk, maar tog sal hulle nie sien nie, en sal hulle hoor, maar tog sal hulle nie die betekenis daarvan verstaan nie. Hulle sal ook nooit terugdraai en vergifnis ontvang nie.”^l **13** Verder het hy vir hulle gesê: “Julle verstaan nie hierdie illustrasie nie. Hoe sal julle dan al die ander illustrasies verstaan?

14 “Die saaiër saai die woord.^m **15** Party mense is

HFST. 4

- a Mt 13:1, 2
Lu 8:4
- b Mt 13:34
- c Mt 13:3-9
Lu 8:5-8
- d Mr 4:14
- e Mr 4:16, 17
- f Mr 4:18, 19
- g Mr 4:20
- h Spr 1:5
Mt 11:15
Lu 8:8
- i Mt 13:10
Lu 8:9
- j Ef 1:9, 10
Kol 1:26, 27
- k Mt 13:11
Lu 8:10
- l Jes 6:9, 10
Mt 13:13, 14
Joh 12:40
Han 28:26
- m Mt 13:18
Lu 8:11
1Pe 1:25

Tweede kol.

- a 1Pe 5:8
- b Mt 13:19
Lu 8:12
- c Mt 13:20, 21
Lu 8:13
- d Mt 13:22
Lu 8:14
- e Mt 6:25
Mt 24:38, 39
- f Spr 23:4, 5
Mr 10:23
Lu 18:24
1Ti 6:9
2Ti 4:10
- g 1Jo 2:16
- h Mt 13:23
Lu 8:15
- i Mt 5:15
Lu 8:16, 17
Lu 11:33
- j Mt 10:26
Lu 12:2
- k Spr 1:5
Mt 11:15
Op 2:7
- l Lu 8:18
Jak 1:25
- m Mt 25:23

soos die saad wat langs die pad geval het. Sodra hulle die woord hoor, kom Satan^a en neem hy die woord weg wat in hulle gesaai is.^b **16** Ander mense is soos die saad wat op rotsagtige grond gesaai is. Sodra hulle die woord hoor, aanvaar hulle dit met vreugde.^c **17** Tog skiet hulle nie wortel nie. Hulle bly ’n tyd lank, maar sodra daar probleme of vervolging ontstaan as gevolg van die woord, struikel hulle. **18** Daar is nog ander wat tussen die dorings gesaai is. Dit is die mense wat die woord gehoor het,^d **19** maar die bekommernisse^e van hierdie wêreld* en die bedrieglike krag van rykdom^f en die begeertes^g na allerhande ander dinge dring in en keer dat die woord verder groei, en dit word onvrugbaar. **20** Maar dié wat op die goeie grond gesaai is, is dié wat na die woord luister en dit aanvaar en vrug dra: 30, 60 en 100 keer soveel.”^h

21 Hy het ook vir hulle gesê: “’n Lamp word tog nie gebring om onder ’n emmer* of onder ’n bed gesit te word nie, of hoe? Word dit nie gebring om op ’n lampstaander gesit te word nie?ⁱ **22** Want daar is niks wat bedek is wat nie openbaar gemaak sal word nie, en daar is niks wat sorgvuldig weggesteek is wat nie aan die lig sal kom nie.^j **23** Laat elkeen wat ore het om te luister, luister.”^k

24 Hy het verder vir hulle gesê: “Skenk aandag aan wat julle hoor.^l Met die maathouer waarmee julle uitmeet, sal daar vir julle uitgemeet word, ja, meer sal vir julle bygevoeg word. **25** Want as iemand het, sal meer aan hom gegee word,^m maar as iemand nie het nie, sal

4:19 *Of “stelsel van dinge”. Sien Woordelys. 4:21 *Of “maattemmer”.

selfs wat hy het, van hom af weggeneem word.”^a

26 Toe het hy gesê: “Die Koninkryk van God is net soos wanneer iemand saad op die grond gooi. **27** Hy slaap in die nag en staan op in die oggend, en die saad spruit uit en word groot – hy weet nie presies hoe dit gebeur nie. **28** Die grond bring vanself geleidelik vrug voort: eers die stingel, dan die aar en uiteindelik die graankorrels in die aar. **29** Maar sodra die graan ryp is, steek hy die sekel in, want die oestyd het gekom.”

30 Hy het verder gesê: “Waarmee kan ons die Koninkryk van God vergelyk, of met watter illustrasie kan ons dit verduidelik? **31** Dit is soos ’n mosterdsaadjie wat die kleinste van al die sade op die aarde is wanneer dit in die grond gesaai word.^b **32** Maar nadat dit gesaai is, groei dit en word dit groter as al die ander groentesoorte, met takke wat so groot is dat die voëls van die hemel blyplek onder sy skaduwee kan vind.”

33 Hy het dikwels sulke illustrasies^c gebruik om die woord aan hulle bekend te maak, volgens wat hulle kon verstaan. **34** Ja, sonder ’n illustrasie het hy nie met hulle gepraat nie, maar hy het alles aan sy dissipels verduidelik wanneer hulle alleen was.^d

35 En toe dit daardie dag aand word, het hy vir hulle gesê: “Kom ons gaan oor na die oorkantste oewer.”^e **36** Nadat hulle die skare weggestuur het, het hulle Jesus in die boot geneem.* Daar was ook ander bote by hom.^f **37** En ’n baie groot windstorm het losgebars,

4:36 *Lett. “in die boot geneem, net soos hy was”.

HFST. 4

a Mt 13:12
Lu 8:18
Lu 19:26

b Mt 13:31, 32
Lu 13:18, 19

c Ps 78:2

d Mt 13:11
Mt 13:34, 35
Mr 4:11

e Mt 8:18

f Mt 8:23
Lu 8:22

Tweede kol.

a Mt 8:24-27
Lu 8:23-25

b Ps 89:9

c Joh 6:19

HFST. 5

d Mt 8:28
Lu 8:26, 27

e Lu 8:28-30

en die golwe het aanhoudend by die boot ingeslaan, en die boot was amper vol.^a **38** Maar Jesus het in die agterste deel van die boot op die kussing geslaap. En hulle het hom wakker gemaak en vir hom gevra: “Leermeester, gee u nie om dat ons op die punt staan om dood te gaan nie?” **39** Toe het hy opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: “Bedaar! Wees stil!”^b En die wind het gaan lê, en ’n groot kalmte het oor die see gekom. **40** Toe het hy vir hulle gevra: “Hoekom is julle so bang? Het julle nog steeds geen geloof nie?” **41** Maar hulle het baie bang geword, en hulle het vir mekaar gesê: “Wie is hy regtig? Selfs die wind en die see gehoorsaam hom.”^c

5 Toe het hulle aan die oorkant van die see in die gebied van die Geraseners^d gekom. **2** En onmiddellik nadat Jesus uit die boot geklim het, het ’n man wat onder die beheer van ’n onrein gees was, tussen die grafte* uit na hom toe gekom. **3** Sy woonplek was tussen die grafte, en tot op daardie tydstop kon absoluut niemand hom vasbind nie, nie eers met ’n ketting nie. **4** Hy was dikwels met voetboeie en kettings vasgebind, maar hy het die kettings uitmekaargeruk en die voetboeie stukkend gebreek, en niemand het die krag gehad om hom te beheer nie. **5** En hy het heeltyd, dag en nag, in die grafte en in die berge geskree en homself met klippe stukkend gesny. **6** Maar toe hy Jesus van ver af sien, het hy gehardloop en voor hom neergebuig.^e **7** Toe het hy met ’n harde stem uitgeroep: “Wat het ek met jou te doen, Jesus, Seun van

5:2 *Of “gedenkrifte”.

die allerhoogste God? Sweer by God dat jy my nie sal pynig nie.”^a **8** Want Jesus het reeds vir hom gesê: “Kom uit die man uit, jou onrein gees.”^b **9** Jesus het vir hom gevra: “Wat is jou naam?” En hy het geantwoord: “My naam is Legioen, want ons is baie.” **10** Hy het Jesus oor en oor gesmeek om nie die geeste uit die land uit te stuur nie.^c

11 ’n Groot trop varke^d het daar by die berg gewei.^e **12** Toe het die geeste hom gesmeek en gesê: “Stuur ons in die varke in sodat ons in hulle kan ingaan.” **13** En hy het hulle toestemming gegee. Toe het die onrein geeste uitgekom en in die varke ingegaan, en die trop het oor die krans* gestorm, in die see in. Daar was omtrent 2000 varke, en hulle het in die see verdrink. **14** Maar hulle oppassers het gevlug en die nuus in die stad en op die platteland gaan vertel, en mense het kom kyk wat gebeur het.^f **15** Toe het die mense na Jesus toe gekom, en hulle het die man daar sien sit wat onder die beheer van die demone was, die een wat voorheen die legioen gehad het. Hy het klere aangehad en was by sy volle verstand, en hulle het baie bang geword. **16** En die mense wat dit gesien het, het vir hulle vertel wat gebeur het met die man in wie daar demone was en met die varke. **17** Hulle het Jesus dus begin smeek om hulle gebied te verlaat.^g

18 Toe hy in die boot klim, het die man in wie daar voorheen demone was, Jesus gesmeek en gevra of hy saam met Jesus kan gaan.^h **19** Jesus het hom egter nie toegelaat nie, maar het vir hom gesê: “Gaan

5:13 *Of “teen die steilte af”.

HFST. 5

a Mt 8:29
Jak 2:19

b Han 16:17, 18

c Lu 8:31

d Le 11:7, 8
De 14:8

e Mt 8:30-33
Lu 8:32-34

f Lu 8:35-37

g Mt 8:34

h Lu 8:38, 39

Tweede kol.

a Lu 8:40

b Mt 9:18
Lu 8:41, 42

c Lu 4:40

d Mt 9:20-22
Lu 8:43, 44

e Le 15:25

f Mt 14:36
Mr 6:56

g Mt 9:21

h Lu 5:17
Lu 6:19

huis toe na jou familieledede, en vertel vir hulle alles wat Jehovah* vir jou gedoen het en dat hy genade aan jou betoon het.” **20** Die man het weggegaan en alles wat Jesus vir hom gedoen het in die Dekapo’lis* begin verkondig, en al die mense was verstom.

21 Nadat Jesus weer in die boot na die oorkant gegaan het, het ’n groot skare by hom bymekaargekom, en hy was by die see.^a **22** Een van die hoofbeamptes van die sinagoge, met die naam Jairo, het gekom, en toe hy hom sien, het hy voor sy voete neergeval.^b **23** Hy het hom oor en oor gesmeek en gesê: “My dogtertjie is baie siek.* Kom lê asseblief u hande op haar^c sodat sy gesond kan word en kan lewe.” **24** Toe het Jesus saam met hom gegaan, en ’n groot skare het hom gevolg en van alle kante af teen hom gedruk.

25 En daar was ’n vrou wat 12 jaar lank^d aan bloedvloeiing gely het.^e **26** Sy het baie gely* as gevolg van baie dokters en het al haar geld uitgegee, maar sy het nie beter geword nie – haar toestand het eerder erger geword. **27** Toe sy die nuus oor Jesus hoor, het sy van agter af deur die skare gekom en aan sy bo-kleed geraak,^f **28** want sy het heelyd gesê: “As ek net aan sy bo-klere raak, sal ek gesond word.”^g **29** En onmiddellik het haar bloedvloeiing opgehou, en sy kon in haar liggaam voel dat sy van die ernstige siekte genees is.

30 Jesus het onmiddellik agtergekom dat krag uit hom uitgegaan het,^h en hy het in die

5:19 *Sien Aanh. A5. 5:20 *Of “die Streek van Tien Stede”. 5:23 *Of “is op haar laaste”. 5:26 *Of “het baie pyn deurgemaak”.

skare omgedraai en gevra: "Wie het aan my bo-klere geraak?"^a

31 Maar sy dissipels het vir hom gesê: "U kan sien dat die skare teen u druk, en tog vra u: 'Wie het aan my geraak?'"

32 Hy het nogtans rondgekyk om te sien wie dit gedoen het.

33 Die vrou, wat besef het wat met haar gebeur het, was bang en het gebewe. Sy het voor hom kom neerval en hom die volle waarheid vertel. **34** Hy het vir haar gesê: "Dogter, jou geloof het jou gesond gemaak. Gaan in vrede.^b Jy is van jou ernstige siekte genees."^c

35 Terwyl hy nog gepraat het, het daar manne van die huis van die hoofbeampte van die sinagoge gekom en gesê: "U dogter het gesterf! Hoekom sou u die Leermeeester nog langer lastig val?"^d **36** Maar Jesus het gehoor wat hulle gesê het en het vir die hoofbeampte van die sinagoge gesê: "Moenie bekommerd wees nie.* Beoefen net geloof."^e **37** En hy het niemand toegelaat om saam met hom te gaan nie, behalwe Petrus, Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.^f

38 Toe het hulle by die huis van die hoofbeampte van die sinagoge gekom, en hy het die mense gesien wat huil en uitroep en te kere gaan.^g **39** Nadat hy ingegaan het, het hy vir hulle gesê: "Hoekom huil julle en gaan julle so te kere? Die kind het nie gesterf nie. Sy slaap."^h **40** Toe het hulle hom begin uitlag. Maar nadat hy hulle almal uitgestuur het, het hy die kind se pa en ma en die dissipels wat by hom was, geneem en ingegaan na waar die kind was. **41** Hy het toe die kind se hand geneem en vir haar gesê: "*Tail'ta koemi.*" Dit beteken:

5:36 *Of "Hou op om bang te wees".

HFST. 5

a Lu 8:45-48

b Lu 7:50
Lu 8:48

c Mt 9:22

d Lu 8:49

e Lu 8:50
Joh 11:39, 40

f Mt 17:1
Mt 26:36, 37

g Mt 9:23-26
Lu 8:51-56

h Lu 8:52
Joh 11:11

Tweede kol.

a Mt 9:25
Lu 7:14
Lu 8:54
Han 9:40

b Mr 1:42-44
Mr 7:35, 36

HFST. 6

c Lu 4:16

d Joh 6:42
Joh 7:15

e Mt 13:54-58

f Jes 53:2

g Joh 6:42

h Ga 1:19

i Mr 3:31

j Mt 13:57
Lu 4:24
Joh 4:44

k Mt 9:35
Lu 13:22

l Lu 10:1

m Mt 10:1
Lu 9:1-6

n Mt 10:9, 10

"Meisie, ek sê vir jou, staan op!"^a

42 En onmiddellik het die meisie opgestaan en begin loop. (Sy was 12 jaar oud.) Toe hulle dit sien, was hulle buite hulleself van vreugde. **43** Maar hy het hulle keer op keer* beveel om niemand hiervan te vertel nie,^b en hy het gesê dat hulle vir haar iets moet gee om te eet.

6 Hy het daarvandaan vertrek en in sy tuisgebied gekom,^c en sy dissipels het saam met hom gegaan. **2** Op die Sabbat het hy in die sinagoge begin leer, en die meeste mense wat na hom geluister het, was verstom en het gevra: "Waar het hierdie man hierdie dinge geleer?"^d En hoekom is hierdie wysheid aan hom gegee, en hoe doen hy hierdie kragtige werke?^e **3** Is hy dan nie die timmerman nie?^f Is hy nie die seun van Maria^g en die broer van Jakobus,^h Josef, Judas en Simonⁱ nie? En is sy susters dan nie hier by ons nie?" Hulle het begin struikel* as gevolg van hom. **4** Maar Jesus het vir hulle gesê: "'n Profeet word oral geëer, behalwe in sy tuisgebied en onder sy familieleden en in sy eie huis."^j **5** Hy kon dus geen kragtige werk daar doen nie, behalwe om sy hande op 'n paar siek mense te lê en hulle te genees. **6** Ja, hy was verbaas oor hulle gebrek aan geloof. En hy het deur die dorpies gegaan en die mense geleer.^k

7 Hy het die Twaalf na hom toe geroep, en hy het hulle twee-twee begin uitstuur,^l en hy het hulle gesag oor die onrein geeste gegee.^m **8** Hy het hulle ook beveel om niks behalwe 'n staf vir die reis saam te vat nie - geen brood, geen voedselsak, geen geld* nieⁿ - **9** maar

5:43 *Of "streng". 6:3 *Of "aanstoot neem". 6:8 *Lett. "koper".

om sandale aan te trek en om nie twee kledingstukke* te dra nie. **10** Verder het hy vir hulle gesê: "Waar julle ook al in 'n huis ingaan, bly daar tot dat julle daarvandaan vertrek."^a **11** En as daar 'n plek is waar die mense julle nie ontvang nie of nie na julle luister nie, skud die stof van julle voete af wanneer julle daarvandaan uitgaan. Dit sal as 'n getuienis vir hulle dien."^b **12** Toe het hulle vertrek en gepreek dat mense berou moet toon,^c **13** en hulle het baie demone uitgedryf^d en 'n groot aantal siek mense met olie gesalf en hulle genees.

14 Koning Herodes het hiervan gehoor, want mense het oral van hom gepraat en gesê: "Johannes die Doper is uit die dood opgewek, en daarom kan hy hierdie kragtige werke doen."^e **15** Maar ander het gesê: "Dit is Eli'a." Nog ander het gesê: "Dit is 'n profeet soos een van die profete van die verlede."^f **16** Maar toe Herodes dit hoor, het hy gesê: "Die Johannes wie se kop ek laat afkap het, is opgewek." **17** Herodes het Johannes vroeër laat arresteer en hom laat boei en in die tronk gesit as gevolg van Hero'dias, die vrou van sy broer Filippus, omdat hy met haar getrou het.^g **18** Want Johannes het vir Herodes gesê: "U mag nie die vrou van u broer as vrou hê nie."^h **19** Hero'dias het dus 'n wrok teen hom gekoester en wou hom doodmaak, maar sy kon nie. **20** Herodes was bang vir Johannes omdat hy geweet het dat Johannes 'n regverdige en heilige man is,ⁱ en hy het hom beskerm. Wanneer hy na Johannes geluister het, was hy baie onseker oor wat om te doen,

6:9 *Of "ekstra klere".

HFST. 6

a Mt 10:11

b Mt 10:14
Lu 10:10, 11
Han 13:50, 51

c Han 2:38
Han 3:19

d Lu 10:17

e Mt 14:1-5
Lu 9:7-9

f Mt 16:14
Mr 8:28

g Lu 3:19, 20

h Le 18:16
Le 20:21

i Mt 11:11
Mt 21:26

Tweede kol.

a Ge 40:20-22

b Mt 14:6-12

c Mt 14:8

d Lu 9:10

maar tog het hy graag na hom geluister.

21 Maar op Herodes se verjaarsdag^a het Hero'dias 'n kans gekry om haar plan uit te voer. Hy het 'n aandete vir sy hoë amptenare en die militêre bevelvoerders en die belangrikste manne van Galile'a^b voorberei. **22** En die dogter van Hero'dias het ingekom en gedans, en Herodes en dié wat saam met hom geëet het,* het dit baie geniet. Die koning het vir die meisie gesê: "Vra my enigiets wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee." **23** Ja, hy het vir haar gesweer: "Wat jy my ook al vra, sal ek vir jou gee, tot die helfte van my koninkryk." **24** Toe het sy na haar ma toe gegaan en gevra: "Waarvoor moet ek vra?" Sy het gesê: "Die kop van Johannes die Doper." **25** Onmiddellik het sy vinnig na die koning toe gegaan en vir hom gesê: "Ek wil hê dat u dadelik vir my die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord moet gee."^c **26** Dit het die koning baie ontstel, maar hy wou nie vir haar nee sê nie as gevolg van die ede wat hy voor sy gaste* gesweer het. **27** Toe het die koning onmiddellik 'n lyfwag gestuur en hom beveel om Johannes se kop te bring. En hy het weggegaan en sy kop in die tronk afgekap **28** en sy kop op 'n skinkbord gebring. Hy het dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee. **29** Toe sy dissipels daarvan hoor, het hulle gekom en sy lyk kom haal en dit in 'n graf* neergelê.

30 Die apostels het by Jesus bymekaargekom en vir hom alles vertel wat hulle gedoen het en vir die mense geleer het.^d

6:22 *Of "aan tafel was". 6:26 *Of "die mense wat aan tafel was". 6:29 *Of "gedenkgraf".

31 En hy het vir hulle gesê: “Kom saam na 'n afgeleë plek waar julle alleen kan wees en 'n bietjie kan rus.”^a Want daar was baie wat gekom en gegaan het, en hulle het nie eers kans gehad om te eet nie. **32** Toe het hulle in die boot na 'n afgeleë plek gegaan om alleen te wees.^b

33 Maar mense het gesien dat hulle vertrek, en baie het daarvan gehoor. Toe het mense uit al die stede vinnig te voet daarheen gegaan en voor hulle daar aangekom. **34** Toe hy uitklim, het hy 'n groot skare gesien, en hy het baie jammer vir hulle gevoel,^c want hulle was soos skape sonder 'n herder.^d En hy het hulle baie dinge begin leer.^e

35 Dit het toe al laat geword, en sy dissipels het na hom toe gekom en gesê: “Ons is op 'n afgeleë plek, en dit is al laat.”^f

36 Stuur hulle weg, sodat hulle na die omliggende platteland en dorpies kan gaan en vir hulle iets kan koop om te eet.”^g

37 Hy het hulle geantwoord: “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Toe het hulle vir hom gevra: “Wil u hê dat ons brood vir 200 dena*rii* moet gaan koop en dit vir die mense moet gee om te eet?”^h

38 Hy het vir hulle gesê: “Hoeveel brode het julle? Gaan kyk.” Nadat hulle uitgevind het, het hulle gesê: “Vyf, en ook twee visse.”ⁱ

39 En hy het vir al die mense gesê om in groepe op die groen gras te gaan sit.^j **40** En hulle het in groepe van 100 en van 50 gaan sit. **41** Toe het hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en gebid.^k Daarna het hy die brode gebreek en dit vir die dissipels begin gee om aan die mense te gee, en hy het die twee visse on-

HFST. 6

a Mt 11:29
Mt 14:13

b Joh 6:1, 2

c Mt 14:14
Heb 4:15d 1Kn 22:17
Jes 53:6
Ese 34:5, 8
Mt 9:36e Jes 61:1
Lu 9:11f Mt 14:15-21
Lu 9:12-17

g Joh 6:5

h 2Kn 4:42-44
Mt 15:33
Joh 6:7

i Joh 6:9

j Joh 6:10-13

k Mr 8:6
Lu 24:30
Han 27:35

Tweede kol.

a Mt 14:20
Lu 9:17
Joh 6:13

b Mt 14:22

c Mt 6:6
Mt 14:23
Mr 1:35
Lu 6:12d Mt 14:24-33
Joh 6:16-21e Mt 14:27
Joh 6:20

f Mt 14:34-36

der almal verdeel. **42** Toe het hulle almal geëet en versadig geword, **43** en nadat hulle die oorskietstukke opgetel het, was daar 12 mandjies vol, maar dit het nie die vis ingesluit nie.^a

44 Daar was 5 000 mans wat die brood geëet het.

45 Toe het hy sy dissipels dadelik in die boot laat klim en hulle vooruit laat gaan na die oorkantste oewer, in die rigting van Betsai'da, terwyl hy die skare weggestuur het.^b **46** Maar nadat hy hulle gegroet het, het hy na 'n berg gegaan om te bid.^c **47** Teen die aand was die boot in die middel van die see, maar hy was alleen op die land.^d

48 Hy het gesien dat hulle sukkel om te roei, want die wind was teen hulle, en daarom het hy omtrent die vierde nagwaak* op die see na hulle toe aangeloo gekom, maar dit het gelyk asof hy by hulle wou verbygaan. **49** Toe hulle hom op die see sien loop, het hulle gesê: “Dit is 'n verskyning!” En hulle het uitgeroep, **50** want hulle almal het hom gesien en was geskok. Maar hy het onmiddellik vir hulle gesê: “Bedaar! Dit is ek. Moenie bang wees nie.”^e

51 Toe het hy by hulle in die boot geklim, en die wind het gaan lê. Hulle was stongeslaan, **52** want hulle het nie begryp wat die wonderwerk met die brode beteken het nie, en hulle* het dit nog steeds moeilik gevind om te verstaan.

53 Toe hulle die oorkant bereik, het hulle in Genne'saret gekom en die boot daar naby vasgeanker.^f **54** Maar die oomblik toe hulle uit die boot klim, het mense hom herken. **55** Die

6:48 *D.w.s. van omtrent 03:00 tot sonsopkoms, wat omtrent 06:00 is.
6:52 *Of “hulle harte”.

mense het in daardie hele gebied rondgehardloop en die siek mense op draagbeddens begin dra na waar hulle gehoor het hy is. **56** En wanneer hy ook al na dorpies of stede of die platteland gegaan het, het hulle die siek mense op die markpleine neergesit, en hulle het hom gesmeek om maar net aan die fraiings van sy bo-kleed te kan raak.^a En almal wat daaraan geraak het, het gesond geword.

7 En die Fariseërs en party van die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het om hom bymekaargekom.^b **2** Hulle het gesien dat party van sy dissipels met onrein hande, dit wil sê ongewaste hande,* eet. **3** (Want die Fariseërs en al die Jode eet nie tensy hulle hulle hande tot by die elmboë gewas het nie. Hulle hou vas aan die tradisies van ons voorvaders, **4** en wanneer hulle van die mark af terugkom, eet hulle nie tensy hulle hulle gewas het nie. Daar is baie ander tradisies wat hulle ontvang het en waaraan hulle vashou, soos die doop van bekere en kanne en koperhouers.)^c **5** Toe het hierdie Fariseërs en skrifgeleerdes vir hom gevra: "Hoekom gehoorsaam jou dissipels nie die tradisies van ons voorvaders nie? Hulle eet met onrein hande."^d **6** Hy het vir hulle gesê: "Julle skynheiliges, Jesaja was reg toe hy oor julle geprofeteer het, soos daar geskryf staan: 'Hierdie volk eer my met hulle lippe, maar hulle harte is ver van my af.'^e **7** Dit is verniet dat hulle my bly aanbid, want hulle leer gebooi van mense as leerstellings.^f **8** Julle verlaat die gebod van God en hou vas aan die tradisies van mense."^g

7:2 *Verwys na hande wat nie seremonieel gereinig is nie.

HFST. 6

a Mt 9:20
Mr 5:25-28
Lu 8:43, 44
Han 19:11, 12

HFST. 7

b Mt 15:1

c Mt 23:25
Lu 11:38, 39

d Mt 15:2

e Mt 15:7-9

f Jes 29:13

g Ga 1:14
Kol 2:8

Tweede kol.

a Mt 15:3-6

b Eks 20:12
De 5:16
Ef 6:2

c Eks 21:17
Le 20:9
Spr 20:20

d 1Ti 5:8

e Mt 15:6

f Mr 7:3

g Mt 15:10

h Mt 15:11
Tit 1:15

i Mt 15:15-20

j Mt 15:18

k Ge 6:5
Ge 8:21
Jer 17:9

9 Hy het verder vir hulle gesê: "Julle verwerp die gebod van God op slinkse maniere sodat julle julle tradisies kan onderhou."^a **10** Moses het byvoorbeeld gesê: 'Eer* jou pa en jou ma',^b en: 'Laat die persoon wat sy pa of ma beledig, doodgemaak word.'^c **11** Maar julle sê: 'As iemand vir sy pa of sy ma sê: "Alles wat ek het waarmee ek julle sou kon ondersteun, is *korban* (dit wil sê 'n gawe wat aan God belowe is)'" **12** dan laat julle hom niks meer vir sy pa of sy ma doen nie.^d **13** So maak julle die woord van God kragtelos deur julle tradisies wat julle oorgedra het.^e En julle doen baie ander soortgelyke dinge."^f **14** Toe het hy die skare weer na hom toe geroep en vir hulle gesê: "Luister na my, almal van julle, en verstaan die betekenis.^g **15** Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie, maar wat uit 'n mens uitgaan, is wat hom onrein maak."^h **16** *—

17 Toe hy in 'n huis ingegaan het, weg van die skare af, het sy dissipels hom oor die illustrasie begin uitvra.ⁱ **18** En hy het vir hulle gesê: "Is julle ook sonder begrip soos hulle? Besef julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie? **19** Want dit gaan nie in sy hart in nie, maar in sy maag, en dan beland dit in die riool." So het hy alle voedsel rein verklaar. **20** Verder het hy gesê: "Wat uit 'n mens uitkom, maak hom onrein.^j **21** Want van binne af, uit die hart van die mens,^k kom skadelike redenasies: seksuele onsedelikheid,* diefstal, moord,

7:10 *Of "Respekteer". **7:16** *Sien Aanh. A3. **7:21** *Die meervoud van die Griekse woord *por-nei'a*. Sien Woordelys.

22 egbreuk, gierigheid, goddelose daade, bedrog, skaamtelose gedrag,* jaloesie,# lastering, hoogmoed en onredelikheid. 23 Al hierdie goddelose dinge kom van binne af en maak 'n mens onrein."

24 Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon gegaan.^a Daar het hy in 'n huis ingegaan, en hy wou nie hê dat enigiemand daarvan moet weet nie, maar hy kon nie onopgemerk bly nie. 25 Net toe hy daar aankom, het 'n vrou wie se dogtertjie 'n onrein gees gehad het, van hom gehoor en by sy voete kom neerval.^b 26 Die vrou was 'n Griek, van Siro-Fenisiëse nasionaliteit,* en sy het hom bly vra om die demoon uit haar dogter uit te dryf. 27 Maar hy het vir haar gesê: "Laat die kinders eers versadig word, want dit is nie reg om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie."^c 28 Sy het toe vir hom gesê: "Ja, meneer, en tog eet selfs die hondjies onder die tafel van die kindertjies se krummels." 29 Hy het vir haar gesê: "Omdat jy dit gesê het, gaan huis toe. Die demoon het uit jou dogter uitgegaan."^d 30 Toe het sy huis toe gegaan en die jong kind op die bed sien lê, en die demoon was weg.^e

31 Toe Jesus uit die gebied van Tirus terugkom, het hy deur Sidon en deur die gebied van die Dekapo'lis*^f na die See van Galile'a gegaan. 32 Hier het hulle 'n man wat doof was en 'n spraakgebrek gehad het,^g na hom toe gebring, en hulle het hom gesmeek om sy hand op hom te lê. 33 En hy het hom

7:22 *Grieks: *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys. *Of "n afgunstige oog". 7:26 *Of "afkoms". 7:31 *Of "die Streek van Tien Stede".

HFST. 7

a Mt 15:21

b Mt 15:22-28

c Mt 10:5, 6
Mt 15:26
Ro 9:4
Ef 2:12

d Mt 15:28

e Joh 4:49-51

f Mt 15:29

g Mt 9:32, 33
Lu 11:14

Tweede kol.

a Mr 8:23
Joh 9:6b Jes 35:5
Mt 11:5
Mt 15:30c Jes 42:2
Mt 8:3, 4
Mr 5:42, 43

d Mr 1:43-45

e Han 14:11

f Jes 35:5, 6
Mt 15:31

HFST. 8

g Mt 14:14
Mr 6:34

h Mt 15:32-38

i Mr 6:38

j Mr 6:41

alleen eenkant toe geneem, weg van die skare af. Toe het hy sy vingers in die man se ore gestee, en nadat hy gespoeg het, het hy aan die man se tong geraak.^a 34 En terwyl hy na die hemel opgekyk het, het hy diep gesug en vir hom gesê: "*Ef'fa-ta*." Dit beteken: "Word geopen." 35 Toe is sy ore geopen^b en sy spraakgebrek is weggeneem, en hy het normaal begin praat. 36 Jesus het hulle beveel om vir niemand te vertel nie,^c maar hoe meer hy dit vir hulle gesê het, hoe meer het hulle dit verkondig.^d 37 Ja, hulle was baie verbaas^e en het gesê: "Hy het alles goed gedoen. Hy laat selfs die dowes hoor en die stommes praat."^f

8 In daardie dae was daar weer 'n groot skare, en hulle het niks gehad om te eet nie. Toe het hy die dissipels geroep en vir hulle gesê: 2 "Ek wou baie jammer vir die skare,^g want hulle is nou al drie dae by my, en hulle het niks om te eet nie.^h 3 As ek hulle huis toe stuur sonder dat hulle iets geëet het,* sal hulle op die pad flou word, en party van hulle kom van ver af." 4 Maar sy dissipels het hom geantwoord: "Waar sal enigiemand op hierdie afgeleë plek genoeg brood kry om hierdie mense te voed?" 5 Toe het hy vir hulle gevra: "Hoeveel brode het julle?" Hulle het gesê: "Sewe."ⁱ 6 Toe het hy vir die skare gesê om op die grond te gaan sit. Hy het die sewe brode geneem, 'n dankgebed gedoen, dit gebreek en dit vir sy dissipels begin gee om uit te deel, en hulle het dit aan die skare uitge-deel.^j 7 Hulle het ook 'n paar vissies gehad, en nadat hy gebid het, het hy vir hulle gesê om dit

8:3 *Of "terwyl hulle vas".

ook uit te deel. **8** En hulle het geëet en versadig geword, en die oorskietstukke wat hulle opgetel het, het sewe groot mandjies* vol gemaak.^a **9** Daar was omtrent 4 000 mans. Daarna het hy hulle weggestuur.

10 Hy het onmiddellik saam met sy dissipels in die boot geklim en in die gebied van Dalmanu'ta gekom.^b **11** Die Fariseërs het gekom en met hom begin stry. Omdat hulle hom wou toets, het hulle aangedring dat hy vir hulle 'n teken uit die hemel gee.^c **12** Toe het hy diep gesug* en gesê: "Hoekom wil hierdie geslag 'n teken hê?^d Ek verseker julle: Geen teken sal aan hierdie geslag gegee word nie."^e **13** Toe het hy hulle verlaat, weer in die boot geklim en na die oorkantste oewer gegaan.

14 Maar die dissipels het vergeet om brood saam te vat, en hulle het niks behalwe een brood by hulle in die boot gehad nie.^f **15** En hy het hulle uitdruklik gewaarsku en gesê: "Hou julle oë oop. Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes."^g **16** Toe het hulle met mekaar begin stry oor die feit dat hulle nie brood het nie. **17** Hy het dit opgemerk en vir hulle gevra: "Hoekom stry julle omdat julle nie brood het nie? Verstaan julle nog nie wat ek sê nie? Vind julle* dit nog steeds moeilik om te verstaan? **18** 'Al het julle oë, sien julle dan nie, en al het julle ore, hoor julle dan nie?' Onthou julle **19** hoeveel mandjies julle vol oorskietstukke gemaak het toe ek die vyf brode^h vir die 5 000 mans gebreek het?" Hulle het vir

8:8, 20 *Of "voorraadmandjies".
8:12 *Lett. "in sy gees gesug". 8:17
*Of "julle harte".

HFST. 8

a Mt 15:37

b Mt 15:39

c Mt 16:1-3

d Mt 12:38
Joh 6:30

e Mt 16:4

f Mt 16:5-12

g Mt 16:6
Lu 12:1

h Mr 6:38

Tweede kol.

a Mt 14:20
Mr 6:43
Lu 9:17
Joh 6:13

b Mt 15:37

c Mr 6:56

d Mr 7:32, 33
Joh 9:1, 6

e Mt 16:13-15
Lu 9:18, 19

f Mt 14:1, 2
Mr 6:14

g Mr 9:11

h Mt 16:16
Lu 9:20
Joh 1:40, 41
Joh 6:68, 69

i Mt 16:20
Mr 9:9
Lu 9:21, 22

j Mt 26:2

k Mt 16:21
Mt 17:22, 23

hom gesê: "Twaalf."^a **20** "Hoeveel groot mandjies* het julle vol oorskietstukke gemaak toe ek die sewe brode vir die 4 000 mans gebreek het?" En hulle het vir hom gesê: "Sewe."^b **21** Toe het hy vir hulle gevra: "Verstaan julle nog nie?"

22 Hulle het by Betsai'da aangekom, en mense het 'n blinde man na hom toe gebring. Hulle het Jesus gesmeek om hom gesond te maak.^c **23** En hy het die blinde man se hand geneem en hom tot buite die dorpie gebring. Nadat hy op sy oë gespoeg het,^d het hy sy hande op hom gelê en vir hom gevra: "Sien jy iets?" **24** Die man het opgekyk en gesê: "Ek sien mense, maar hulle lyk soos bome wat rondloop." **25** Toe het hy weer sy hande op die man se oë gesit. Die man is genees, en hy kon alles duidelik sien. **26** Toe het hy hom huis toe gestuur en gesê: "Moenie in die dorpie ingaan nie."

27 Jesus en sy dissipels het toe na die dorpies van Sesare'a-Filip'pi vertrek, en op pad het hy sy dissipels begin uitvra en vir hulle gesê: "Wie sê die mense is ek?"^e **28** Hulle het vir hom gesê: "Johannes die Doper,^f maar ander sê Eli'a,^g en nog ander sê een van die profete." **29** En hy het vir hulle gevra: "Maar julle, wie sê julle is ek?" Petrus het hom geantwoord: "U is die Christus."^h **30** Toe het hy hulle beveel om vir niemand van hom te vertel nie.ⁱ **31** Hy het hulle ook begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp moet word deur die ouermanne en die hoofpriesters en die skrifgeleerdes en doodgemaak moet word/ en drie dae later moet opstaan.^k **32** Ja, hy het dit reguit vir hulle gesê. Maar Petrus het

hom eenkant geneem en ernstig met hom gepraat.^a **33** Toe het hy omgedraai, na sy dissipels geky en streng met Petrus gepraat en gesê: "Gaan agter my, Satan! Want jou gedagtes is nie God se gedagtes nie, maar dié van mense."^b

34 En hy het die skare saam met sy dissipels na hom toe geroep en vir hulle gesê: "As iemand my volgeling wil word, moet hy ophou om vir homself te lewe* en sy folterpaal[#] optel en aanhou om my te volg.^c **35** Want enigiemand wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar enigiemand wat sy lewe ter wille van my en die goeie nuus verloor, sal dit red.^d **36** Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld wen, maar sy lewe* verloor?^e **37** Wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?^f **38** Want as iemand hom in hierdie ontroue* en sondige geslag vir my en my woorde skaam, sal die Seun van die mens hom ook vir hierdie persoon skaam^g wanneer hy en die heilige engele met die mag[#] van sy Vader kom."^h

9 Verder het hy vir hulle gesê: "Ek verseker julle dat party van dié wat hier staan, beslis nie sal sterf voordat hulle gesien het dat die Koninkryk van God met krag gekom het nie."ⁱ **2** Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle alleen teen 'n hoë berg opgeneem. En sy voorkoms* het voor hulle verander:^j **3** Sy boklere het begin glinster en het baie witter geword as wat enigiemand op aarde dit kon maak.

8:34 *Of "moet hy homself verloor".
8:36, 37 *Of "siel".
8:38 *Of "owerspelige". #Of "heerlikheid".
9:2 *Of "gedaante".

HFST. 8

a Mt 16:22

b Mt 16:23

c Mt 10:38

Mt 16:24

Lu 9:23

Lu 14:27

d Mt 10:39

Mt 16:25

Lu 9:24

Joh 12:25

Op 12:11

e Mt 16:26

Lu 9:25

f Ps 49:8

g Mt 10:33

Lu 9:26

Lu 12:9

2Ti 1:7, 8

h Mt 16:27

Mt 25:31

2Te 1:7

HFST. 9

i Mt 16:28

Lu 9:27

j Mt 17:1-8

Lu 9:28-36

Tweede kol.

a Lu 3:22

Joh 12:28

b Ps 2:7

Jes 42:1

Mt 3:17

2Pe 1:17

c De 18:15

Mt 17:5

Lu 9:35

Han 3:22, 23

d Mt 12:15, 16

Mr 8:29, 30

e Mt 17:9

Lu 9:36

f Mal 4:5, 6

Mr 8:27, 28

g Mt 17:10

h Mt 17:11

i Da 9:26

j Ps 22:6, 7

Jes 50:6

Jes 53:3

Lu 23:11

k Mt 11:13, 14

Lu 1:13, 17

l Mt 17:12

m Lu 9:37

4 Eli'a en Moses het ook aan hulle verskyn, en hulle het met Jesus gesels. **5** Toe het Petrus vir Jesus gesê: "Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie skuilings* oprig: een vir u, een vir Moses en een vir Eli'a."

6 Hy het eintlik nie geweet wat om te sê nie, want hulle was baie bang. **7** 'n Wolk het gevorm en oor hulle gekom, en 'n stem^a het uit die wolk gesê: "Dit is my Seun, die geliefde.^b Luister na hom."^c **8** En skielik, toe hulle rondkyk, het hulle gesien dat daar niemand meer by hulle is nie, behalwe Jesus.

9 Terwyl hulle van die berg afgekome het, het hy hulle streng beveel om vir niemand te vertel wat hulle gesien het^d voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.^e

10 Hulle het sy woorde ernstig opgeneem,* maar hulle het onder mekaar bespreek wat hierdie opstanding uit die dood kon beteken. **11** Hulle het hom begin uitvra en gesê: "Hoekom sê die skrifgeleerdes dat Eli'a^f eers moet kom?"^g **12** Hy het vir hulle gesê: "Eli'a sal beslis eers kom en alles herstel,^h maar hoekom is daar van die Seun van die mens geskryf dat hy baie dinge moet lyⁱ en verneder moet word?"^j **13** Maar ek sê vir julle dat Eli'a^k in werklikheid reeds gekom het, en hulle het aan hom gedoen net wat hulle wou, net soos daar van hom geskryf is."^l

14 Toe hulle by die ander dissipels kom, het hulle gesien dat daar 'n groot skare om hulle is, en daar was skrifgeleerdes wat met hulle gestry het.^m **15** Maar die oomblik toe die skare Jesus sien,

9:5 *Of "tente". **9:10** *Of moontlik "dit vir hulleself gehou".

was hulle verbaas, en hulle het na hom toe gehardloop om hom te groet. **16** Hy het vir hulle gevra: “Waaroor stry julle met die mense?” **17** En iemand uit die skare het hom geantwoord: “Leermeester, ek het my seun na u toe gebring, want daar is 'n gees in hom wat veroorsaak dat hy nie kan praat nie.”^a **18** Elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer, en dan kom skuim by sy mond uit en kners hy op sy tande en verloor hy sy krag. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te dryf, maar hulle kon nie.” **19** Hy het hulle geantwoord: “Julle is so 'n ongelowige geslag!^b Hoe lank moet ek by julle bly? Hoe lank moet ek julle verdra? Bring hom na my toe.”^c **20** Hulle het die seun na Jesus toe gebring, maar toe die gees hom sien, het hy die kind dadelik stuiptrekkings laat kry. Nadat die kind op die grond neergeval het, het hy bly rondrol, en skuim het by sy mond uitgekome. **21** Toe het Jesus die pa gevra: “Hoe lank gebeur dit al met hom?” Hy het gesê: “Van kleins af, **22** en die gees het hom dikwels in die vuur en ook in die water gegooi om hom dood te maak. Maar as u enigiets kan doen, betoon genade aan ons en help ons.” **23** Jesus het vir hom gesê: “Hoekom sê jy: ‘As u kan’? Alles is moontlik vir die een wat geloof het.”^d **24** Onmiddellik het die kind se pa uitgeroep: “Ek het geloof! Help my waar ek geloof nodig het!”^e **25** Toe Jesus sien dat 'n skare vinnig op pad na hulle toe is, het hy streng met die onrein gees gepraat en vir hom gesê: “Jou stom en dowe gees, ek beveel jou: Gaan uit hom uit en moenie weer in hom ingaan

- HFST. 9
- a Mt 17:14-17
Lu 9:38-42
- b De 32:20
- c Mt 17:17
Lu 9:41
- d Mt 17:20
Mr 11:23
Lu 17:6
Joh 11:40
Han 14:9,10
- e Lu 17:5
- Tweede kol.
- a Mt 17:18
Mr 1:23-25
Lu 4:34, 35
Han 10:38
- b Mt 17:19, 20
- c Mt 26:2
- d Mt 16:21
Mt 17:22, 23
Mr 8:31
Lu 9:44, 45
- e Mt 18:1-5
Lu 9:46-48
Lu 22:24
- f Mt 20:26-28
Mr 10:43-45
Flp 2:8, 9
- g Lu 18:16

nie!”^a **26** Nadat hy geskree het en baie stuiptrekkings gekry het, het die gees uitgekome. Dit het gelyk asof die kind dood is, en daarom het die meeste van die mense gesê: “Hy is dood!” **27** Maar Jesus het die kind se hand geneem en hom opgehelp, en hy het opgestaan. **28** En Jesus het in 'n huis ingegaan, en toe hy en sy dissipels alleen was, het hulle vir hom gevra: “Hoekom kon ons hom nie uitdryf nie?”^b **29** Hy het vir hulle gesê: “Hierdie soort kan net deur middel van gebed uitgedryf word.” **30** Hulle het daarvandaan vertrek en deur Galile'a gegaan. Maar hy wou nie hê dat enigiemand daarvan moët uitvind nie, **31** want hy was besig om sy dissipels te leer. Hy het vir hulle gesê: “Die Seun van die mens gaan verraai word en aan mense oorgelewer word, en hulle sal hom doodmaak,^c maar al word hy doodgemaak, sal hy drie dae later opstaan.”^d **32** Maar hulle het nie sy woorde verstaan nie, en hulle was bang om hom uit te vra. **33** Hulle het in Kaper'naum gekom. En toe hy in die huis was, het hy vir hulle gevra: “Waaroor het julle op die pad gestry?”^e **34** Hulle het stilgebly, want hulle het op die pad onder mekaar gestry oor wie die grootste is. **35** Toe het hy gaan sit en die Twaalf geroep en vir hulle gesê: “As enigiemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.”^f **36** Toe het hy 'n jong kind tussen hulle laat staan. Hy het sy arms om hom gesit en vir hulle gesê: **37** “Elkeen wat 'n jong kind soos hierdie op grond van my naam ontvang,^g ontvang my ook, en elkeen wat my ontvang,

ontvang nie net vir my nie, maar ook Hom wat my gestuur het.”^a

38 Johannes het vir hom gesê: “Leermeester, ons het iemand gesien wat demone uitdryf deur u naam te gebruik, en ons het hom probeer keer omdat hy nie een van ons is nie.”^b

39 Maar Jesus het gesê: “Moet hom nie probeer keer nie, want daar is niemand wat ’n kragtige werk in my naam sal doen wat gou iets slegs oor my sal kan sê nie. **40** Want wie nie teen ons is nie, is vir ons.”^c **41** Ek verseker julle dat elkeen wat vir julle ’n beker water gee om te drink omdat julle aan Christus behoort,^d beslis nie sy beloning sal verloor nie.^e **42** Maar as enigiemand een van hierdie kleintjies wat geloof het, laat struikel, sal dit vir hom beter wees as ’n meulsteen* om sy nek gehang word en hy in die see gegooi word.^f

43 “As jou hand ooit vir jou ’n struikelblok is, kap dit af. Dit is vir jou beter om vermink in die lewe in te gaan as om met twee hande in Gehenna* in te gaan, in die vuur wat nie geblus kan word nie.”^g **44** *— **45** En as jou voet vir jou ’n struikelblok is, kap dit af. Dit is vir jou beter om kreupel in die lewe in te gaan as om met twee voete in Gehenna* gegooi te word.^h **46** *— **47** En as jou oog vir jou ’n struikelblok is, gooi dit weg.ⁱ Dit is vir jou beter om een oog te hê en in die Koninkryk van God in te gaan as om met twee oë in Gehenna* gegooi te word.^j **48** waar die wurm nie doodgaan nie en die vuur nie geblus word nie.^k

9:42 *Of “’n meulsteen wat deur ’n donkie gedraai word”. **9:43, 45, 47** *Sien Wordelys. **9:44, 46** *Sien Aanh. A3.

HFST. 9

a Mt 10:40

Lu 9:48

Joh 13:20

b Lu 9:49

c Lu 9:50

d Mt 25:40

e Mt 10:42

f Mt 18:6

Lu 17:1, 2

g Mt 5:30

Mt 18:8

Kol 3:5

h Mt 10:28

Mt 23:33

Lu 12:5

i Ga 5:24

j Mt 5:29

Mt 18:9

Ro 8:13

k Jes 66:24

Tweede kol.

a Lu 17:29

b Mt 5:13

Lu 14:34, 35

c Kol 4:6

d Ro 12:18

Ef 4:29

1Te 5:13

Heb 12:14

HFST. 10

e Mt 19:1, 2

f Mt 19:3

g De 24:1

Mt 5:31

Mt 19:7

h Mt 19:8

i De 9:6

Han 13:18

j Ge 1:27

Ge 5:2

Mt 19:4

k Mt 19:5

l Ge 2:24

Ef 5:31

m Mt 19:6

n Mt 5:32

Mt 19:9

Lu 16:18

o Ro 7:3

p Mt 19:13

Lu 18:15

49 “Want elkeen moet met vuur gesout word.”^a **50** Sout is goed, maar as die sout ooit sy krag verloor, hoe sal dit weer sout gemaak word?^b Julle moet sout in julle hê^c en vrede onder mekaar bewaar.”^d

10 Hy het daarvandaan weggegaan en by die grens van Jude’a oorkant die Jordaanrivier gekom. ’n Skare het weer by hom bymekaargekom, en soos gewoonlik het hy hulle begin leer.^e **2** En Fariseërs het gekom om hom te toets, en hulle het vir hom gevra of ’n man van sy vrou mag skei.^f **3** Hy het hulle geantwoord: “Wat het Moses julle beveel?” **4** Hulle het gesê: “Moses het toegelaat dat ’n skeibrief geskryf kan word en dat hy van haar kan skei.”^g **5** Maar Jesus het vir hulle gesê: “Hy het hierdie gebod vir julle geskryf^h omdat julle harte so ongevoelig is.”ⁱ **6** Maar van die begin van die skepping af ‘het Hy hulle man en vrou geskep.^j **7** Daarom sal ’n man sy pa en sy ma verlaat,^k **8** en die twee sal een vlees wees.”^l Hulle sal dus nie meer twee wees nie, maar een vlees. **9** Wat God dan onder een juk saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.”^m **10** Toe hulle weer in die huis was, het die dissipels hom hieroor begin uitvra. **11** Hy het vir hulle gesê: “Elkeen wat van sy vrou skei en met iemand anders trou, pleeg egbreukⁿ teen haar, **12** en as ’n vrou ooit met iemand anders trou nadat sy van haar man geskei het, pleeg sy egbreuk.”^o

13 Mense het toe jong kinders na hom toe begin bring sodat hy hulle kan seën,^{*} maar die dissipels het streng met hulle gepraat.^p **14** Jesus was baie

10:13 * Of “sodat hy sy hande op hulle kan lê”.

ontevrede toe hy dit sien, en hy het vir hulle gesê: "Laat die jong kinders na my toe kom. Moet hulle nie probeer keer nie, want die Koninkryk van God behoort aan mense wat soos hulle is.^a **15** Ek verseker julle: Elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n jong kind ontvang nie, sal glad nie daar ingaan nie."^b **16** En hy het die kinders in sy arms geneem en hulle begin seën terwyl hy sy hande op hulle gelê het.^c

17 Toe hy vertrek het, het 'n man aangehardloop gekom en voor hom op sy knieë geval en vir hom gevra: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?"^d

18 Jesus het vir hom gesê: "Hoekom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe een, God.^e **19** Jy ken die gebooië: 'Moenie moord pleeg nie,^f moenie egbreuk pleeg nie,^g moenie steel nie,^h moenie valslik getuig nie,ⁱ moenie bedrog pleeg nie,^j eer* jou pa en jou ma."^k

20 Die man het vir hom gesê: "Leermeester, ek was van kleins af gehoorsaam aan al hierdie dinge." **21** Jesus het na hom gekyk en liefde vir hom gevoel en gesê: "Daar is nog een ding wat jy moet doen: Gaan verkoop wat jy het en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. En kom word my volgelinge."^l **22** Maar hy was baie hartseer toe hy die antwoord hoor en het weggegaan, want hy het baie besittings gehad.^m

23 Nadat Jesus rondgekyk het, het hy vir sy dissipels gesê: "Hoe moeilik sal dit tog vir mense met geld wees om in die Koninkryk van God in te gaan!"ⁿ

24 Maar die dissipels was verbaas oor sy woorde. Jesus het toe vir hulle gesê: "Kinders, hoe

HFST. 10

- a Mt 18:4
Mt 19:14
Lu 18:16
1Pe 2:2
- b Mt 18:3
Lu 18:17
- c Mr 9:36
- d Mt 19:16
Lu 18:18
- e Ps 86:5
Mt 19:17
Lu 18:19
- f Eks 20:13
De 5:17
Mt 5:21
1Jo 3:15
- g Eks 20:14
De 5:18
- h Eks 20:15
De 5:19
- i Eks 20:16
De 5:20
- j Le 19:13
- k Eks 20:12
De 5:16
Ef 6:2
- l Mt 19:21
- m Lu 18:23
- n Jer 9:23
1Ti 6:17

Tweede kol.

- a Mt 19:24
Lu 18:25
- b Mt 19:25, 26
Lu 18:26, 27
- c Job 42:2
- d Mt 19:27
Lu 18:28
- e Mt 10:37
Mt 19:29
Lu 18:29, 30
- f Mt 5:11
Han 14:22
- g Mt 19:30
Mt 20:16
Lu 13:30
- h Mt 20:17-19
Mr 8:31
Mr 9:31
Lu 9:22
Lu 18:31-33
- i Han 10:40
1Kor 15:3, 4

moeilik is dit tog om in die Koninkryk van God in te gaan!

25 Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan."^a **26** Hulle was nog meer verbaas en het hom* gevra: "Wie kan dan gered word?"^b

27 Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik."^c **28** Petrus het vir hom gesê: "Ons het alles agtergelaat en u gevolg."^d **29** Jesus het gesê: "Ek verseker julle dat elkeen wat huis of broers of susters of ma of pa of kinders of landerye ter wille van my en ter wille van die goeie nuus verlaat het,^e

30 nou in hierdie tyd 100 keer soveel sal kry - huise, broers, susters, ma's, kinders en landerye, met vervolginge^f - en in die wêreld* wat kom, die ewige lewe. **31** Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en baie wat laaste is, sal eerste wees."^g

32 Terwyl hulle op pad Jerusalem toe was, het Jesus voor hulle uit gegaan. Die dissipels was verbaas, maar die mense wat hulle gevolg het, het bang geword. Hy het die Twaalf weer eenkant geneem en vir hulle die dinge begin vertel wat met hom sou gebeur:^h **33** "Ons is op pad na Jerusalem, en die Seun van die mens sal aan die hoofpriesters en die skrifgeleerdes oorgelewer word. Hulle sal hom tot die dood veroordeel en hom aan mense van die nasies oorlewer, **34** en hulle sal hom bespot en op hom spoeg en hom met 'n gésel* slaan en hom doodmaak, maar drie dae later sal hy opstaan."ⁱ

10:26 *Of moontlik "vir mekaar".
10:30 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys. **10:34** *Sien Woordelys.

10:19 *Of "respekteer".

35 Jakobus en Johannes, die seuns van Sebede'us,^a het na hom toe gekom en vir hom gesê: "Leermeeester, ons wil hê dat u vir ons moet doen wat ons u vra."^b **36** Hy het vir hulle gevra: "Wat wil julle hê moet ek vir julle doen?" **37** Hulle het geantwoord: "Wanneer u mag* ontvang, laat een van ons toe om aan u regterhand te sit, en een aan u linkerhand."^c **38** Maar Jesus het vir hulle gesê: "Julle weet nie waarvoor julle vra nie. Kan julle die beker drink wat ek drink, of gedoop word met die doop waarmee ek gedoop word?"^d **39** Hulle het vir hom gesê: "Ons kan." Toe het Jesus vir hulle gesê: "Julle sal die beker drink wat ek drink, en julle sal gedoop word met die doop waarmee ek gedoop word."^e **40** Maar om aan my regterhand of aan my linkerhand te sit, is nie myne om te gee nie, maar dit behoort aan dié vir wie dit voorberei is."

41 Toe die tien ander hier- van hoor, het hulle kwaad geword vir Jakobus en Johannes.^f **42** Maar Jesus het hulle na hom toe geroep en vir hulle gesê: "Julle weet dat dié wat as heersers van die nasies beskou word, oor die mense baas- speel en dat hulle leiers* hulle oorheers."^g **43** Dit moenie so onder julle wees nie. As iemand onder julle groot wil wees, moet hy julle dienaar wees,^h **44** en as iemand onder julle die eerste wil wees, moet hy almal se slaaf wees. **45** Want selfs die Seun van die mens het gekom, nie om gedien te word nie, maar om te dienⁱ en om sy lewe te gee as 'n losprys in ruil vir baie."^j

46 Toe het hulle in Je'ri- go aangekom. Maar toe hy en sy

10:37 *Of "heerlikheid". 10:42 *Lett. "grotes".

HFST. 10

a Mt 10:2

b Mt 20:20, 21

c Mt 19:28

d Mt 20:22, 23

Lu 12:50
Joh 18:11
Ro 6:3

e Han 12:2

Op 1:9

f Mt 20:24

g Mt 20:25

Lu 22:25
1Pe 5:2, 3

h Mt 20:26, 27

Mr 9:35
Lu 9:48
Lu 22:26

i Joh 13:14

Flp 2:7

j Jes 53:10

Da 9:24
Mt 20:28
Ga 3:13
Tit 2:13, 14

Tweede kol.

a Mt 20:29-34

Lu 18:35-43

b Jer 23:5

Ro 1:3

c Mt 9:27

Mt 15:22

d Mt 9:20, 22

e Jes 35:5

Jes 42:7
Mr 8:25

HFST. 11

f Joh 11:18

g Mt 21:1-3

Lu 19:29-34

h Mt 21:6

dissipels en 'n groot skare Je'ri- go verlaat, het hulle Bartime'us (die seun van Time'us), 'n blinde bedelaar, langs die pad sien sit.^a **47** Toe hy hoor dat dit Jesus die Nasarener is, het hy begin uitroep en gesê: "Seun van Dawid,^b Jesus, betoon genade aan my!"^c **48** Baie het hom streng beveel om stil te bly, maar hy het al hoe meer uitgeroep: "Seun van Dawid, betoon genade aan my!" **49** Toe het Jesus stilgestaan en gesê: "Roep hom." Hulle het dus die blinde man geroep en vir hom gesê: "Wees bly! Staan op. Hy roep jou." **50** Hy het sy bo-kleed eenkant gegooi, opgespring en na Jesus toe gegaan. **51** Toe het Jesus vir hom gevra: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?" Die blinde man het vir hom gesê: "Rabboe'ni,* laat my weer sien." **52** Jesus het vir hom gesê: "Gaan. Jou geloof het jou gesond gemaak."^d En onmiddellik kon hy weer sien,^e en hy het hom begin volg.

11 En toe hulle naby Je- rusalem kom, by Betfa'ge en Beta'nië^f teen die Olyf- berg, het hy twee van sy dis- sipels gestuur^g **2** en vir hulle gesê: "Gaan in die dorpie in wat julle voor julle sien, en so- dra julle daar ingaan, sal julle 'n jong donkie vind wat vasge- maak is en waarop niemand nog ooit gesit het nie. Maak hom los en bring hom hierheen. **3** En as iemand vir julle vra: 'Hoe- kom doen julle dit?' moet julle sê: 'Die Here het hom nodig en sal hom dadelik hierheen terug- stuur.'" **4** Toe het hulle gegaan en die jong donkie gevind. Hy was by 'n deur vasgemaak, buite op die systraat, en hulle het hom losgemaak.^h **5** Maar party wat daar gestaan het, het vir

10:51 *Betekens "leermeeester".

hulle gevra: "Hoekom maak julle die donkie los?" **6** Hulle het vir hulle gesê presies wat Jesus gesê het, en hulle het hulle laat gaan.

7 Hulle het toe die jong donkie^a na Jesus toe gebring, en hulle het hulle bo-klere op die donkie gesit. Toe het Jesus op die donkie gaan sit.^b **8** Baie mense het hulle bo-klere op die pad uitgesprei, en ander het takke in die veld afgekap.^c **9** En dié wat voor geloop het en dié wat gevolg het, het bly uitroep: "Red hom, asseblief!"^d Geseënd is die een wat in Jehovah* se naam kom!^e **10** Geseënd is die komende Koninkryk van ons vader Dawid!^f Red hom* asseblief in die hoogtes daar bo!" **11** En toe hy in Jerusalem aankom, het hy in die tempel ingegaan, en hy het na alles om hom gekyk, maar omdat dit reeds laat was, het hy met die Twaalf uitgegaan na Beta'nië.^g

12 Die volgende dag, toe hulle Beta'nië verlaat, het hy honger geword.^h **13** Hy het van ver af 'n vyeboom met blare gesien, en hy het gaan kyk of hy miskien iets daaraan kan vind. Maar toe hy by die boom kom, het hy net blare gevind, want dit was nie die tyd vir vye nie. **14** Toe het hy vir die boom gesê: "Laat niemand ooit weer vrugte van jou eet nie."ⁱ En sy dissipels het gehoor wat hy gesê het.

15 Toe het hulle in Jerusalem aangekom. Daar het hy in die tempel ingegaan en die mense begin uitjaag wat in die tempel koop en verkoop, en hy het die tafels van die geldwisselaars* en die stoele van die dui-

11:9 *Sien Aanh. A5. 11:10 *D.w.s. Jesus. 11:15 *D.w.s. mense wat wins gemaak het deur een geldsoort vir 'n ander te ruil.

- HFST. 11
- a 1Kn 1:33
Sag 9:9
- b Mt 21:7, 8
Joh 12:14, 15
- c Lu 19:36
Joh 12:13
- d Mt 21:15
- e Ps 118:25, 26
Mt 21:9
Lu 19:37, 38
Joh 12:13
- f Sag 9:9
Lu 1:32
- g Mt 21:10
- h Mt 21:18
- i Mt 21:19
Mr 11:20

Tweede kol.

- a Mt 21:12
Lu 19:45, 46
Joh 2:14-16
- b 1Kn 8:43
Jes 56:7
- c Jer 7:11
Mt 21:13
Lu 19:46
Joh 2:16
- d Mr 14:1
Lu 20:19
- e Lu 19:47, 48
- f Mt 21:19, 20
- g Mr 11:14
- h Mt 17:20
Mt 21:21
Lu 17:6
- i Mt 7:7
Mt 18:19
Mt 21:22
Lu 11:9
Joh 14:13
Joh 15:7
Joh 16:24
- j Ps 103:10-12
Mt 6:12, 14
Ef 4:32
Kol 3:13

weverkopers omgegooi,^a **16** en hy het niemand toegelaat om enigiets deur die tempel te dra nie. **17** Hy het die mense geleer en gesê: "Staan daar nie geskryf: 'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies genoem word' nie?"^b Maar julle het dit 'n skuilplek vir rowers gemaak."^c **18** En die hoofpriesters en die skrifgeleerdes het dit gehoor, en hulle het na 'n manier begin soek om hom dood te maak,^d want hulle was bang vir hom omdat die hele skare beïndruk was deur die manier waarop hy onderrig het.^e

19 Laat daardie dag het hulle die stad verlaat. **20** Maar toe hulle vroeg in die oggend by die vyeboom verbygaan, het hulle gesien dat die boom reeds van sy wortels af uitgedroog het.^f **21** Petrus het onthou wat gebeur het en het vir hom gesê: "Rabbi, kyk! die vyeboom wat u vervloek het, het uitgedroog."^g **22** Jesus het vir hulle gesê: "Julle moet geloof in God hê. **23** Ek verseker julle: As iemand vir hierdie berg sê: 'Lig jouself op en gooi jouself in die see,' en hy nie in sy hart twyfel nie maar gloof het, sal dit vir hom so gebeur."^h **24** Daarom sê ek vir julle: Glo dat julle alles waarvoor julle bid en vra, reeds ontvang het, en julle sal dit hê.ⁱ **25** En wanneer julle staan en bid en julle iets teen iemand het, moet julle hom vergewe, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredings kan vergewe."^j **26** * —

27 Hulle het weer in Jerusalem aangekom. En terwyl hy in die tempel geloop het, het die hoofpriesters en die skrifgeleerdes en die ouermanne gekom **28** en vir hom gevra: "Met

11:26 *Sien Aanh. A3.

watter gesag doen jy hierdie dinge? Of wie het jou hierdie gesag gegee om hierdie dinge te doen?"^a **29** Jesus het vir hulle gesê: "Ek sal julle een vraag vra. Antwoord my eers, en dan sal ek vir julle sê met watter gesag ek hierdie dinge doen. **30** Het Johannes se gesag om te doop^b uit die hemel of van mense gekom? Antwoord my."^c **31** Toe het hulle onder mekaar begin redeneer en gesê: "As ons sê: 'Uit die hemel,' sal hy vra: 'Hoekom het julle hom dan nie geglo nie?' **32** Maar as ons sê: 'Van mense,' wat sal dan gebeur?" Hulle was bang vir die skare, want die mense het almal geglo dat Johannes werklik 'n profeet was.^d **33** Hulle het dus vir Jesus gesê: "Ons weet nie." Jesus het vir hulle gesê: "Dan sê ek ook nie vir julle met watter gesag ek hierdie dinge doen nie."

12 Toe het hy deur middel van illustrasies met hulle begin praat: "'n Man het 'n wingerd geplant^e en 'n heining daarom gesit en 'n wynders uitgekop en 'n toring opgerig.^f Toe het hy dit aan landbouers verhuur en na die buiteland gereis.^g **2** Op die regte tyd het hy 'n slaaf na die landbouers toe gestuur om van die druiwe van die wingerd by hulle te gaan haal. **3** Maar hulle het hom gevat, hom geslaan en hom met leë hande weggestuur. **4** Toe het hy 'n ander slaaf na hulle toe gestuur, en hulle het hom oor die kop geslaan en hom verneder.^h **5** Hy het nog een gestuur, en hulle het hom doodgemaak. Hy het ook baie ander gestuur, en hulle het party geslaan en party doodgemaak. **6** Hy het nog net een oorgehad om te stuur, sy geliefde seun.ⁱ Hy het hom laaste na hulle toe gestuur en

HFST. 11

a Mt 21:23-27
Lu 20:1-8

b Mr 1:4

c Mt 21:25
Lu 20:4d Mt 3:1, 5
Mt 14:3, 5
Mr 6:20

HFST. 12

e Jes 5:7

f Jes 5:2

g Mt 21:33-41
Lu 20:9-16

h Heb 11:32, 37

i Ps 2:7
Ga 4:4
1Jo 4:9

Tweede kol.

a Ps 2:8
Heb 1:2

b Han 2:23

c Mt 21:41, 43

d Mt 21:42
Lu 20:17
Han 4:10, 11
Ef 2:20
1Pe 2:7

e Ps 118:22, 23

f Mt 21:45, 46
Lu 20:19g Mt 22:15-22
Lu 20:20-26

gesê: 'Hulle sal my seun respekteer.' **7** Maar daardie landbouers het vir mekaar gesê: 'Dit is die erfgenaam.^a Kom ons maak hom dood, en die erfenis sal ons s'n wees.' **8** Toe het hulle hom gevat en hom doodgemaak en hom uit die wingerd uitgegooi.^b **9** Wat sal die eienaar van die wingerd doen? Hy sal die landbouers kom doodmaak en die wingerd vir ander gee.^c **10** Het julle nog nooit die volgende gedeelte in die Skrif gelees nie? 'Die steen wat die bouers verwerp het, het die belangrikste hoeksteen* geword.'^d **11** Dit het van Jehovah* af gekom, en dit is wonderlik in ons oë."^e

12 Toe wou sy teenstanders hom gevange neem, maar hulle was bang vir die skare, want hulle het geweet dat hy hulle in gedagte gehad het toe hy die illustrasie vertel het. Hulle het dus van hom af weggegaan.^f

13 Daarna het hulle party van die Fariseërs en van Herodes se ondersteuners na hom toe gestuur sodat hulle Jesus kon kry om iets te sê wat hulle teen hom kan gebruik.^g **14** Toe hulle daar aankom, het hulle vir hom gesê: "Leermeester, ons weet dat u opreg is en niemand se goedkeuring soek nie, want u kyk nie na mense se uiterlike nie, maar u leer die waarheid oor God se weg. Is dit reg om hoofbelasting aan die keiser te betaal of nie? **15** Moet ons betaal of moet ons nie betaal nie?" Hy het geweet dat hulle skynheilig is en het vir hulle gesê: "Hoekom toets julle my? Bring vir my 'n denarius* om na te kyk."

12:10 *Lett. "die hoof van die hoek".

12:11 *Sien Aanh. A5. **12:15** *Sien Aanh. B14.

16 Hulle het een gebring, en hy het vir hulle gevra: "Wie se beeld en titel is hierop?" Hulle het vir hom gesê: "Die keiser s'n." 17 Jesus het toe gesê: "Betaal aan die keiser terug wat aan die keiser behoort,^a maar aan God wat aan God behoort."^b En hulle was verstom oor wat hy gesê het.

18 Toe het die Sadduseërs, wat sê dat daar geen opstanding is nie,^c vir hom kom sê:^d

19 "Leermeester, Moses het vir ons geskryf dat as iemand sterf en sy vrou sonder kinders agterlaat, dan moet sy broer met die vrou trou en kinders gee vir sy broer wat gesterf het."^e

20 Daar was sewe broers. Die eerste broer het met 'n vrou getrou, maar toe hy sterf, het hy geen kinders agtergelaat nie.

21 Toe het die tweede broer met haar getrou, maar gesterf sonder om kinders agter te laat, en dieselfde met die derde broer. 22 Nie een van die sewe broers het kinders agtergelaat nie. Laastens het die vrou ook gesterf. 23 Wie se vrou sal sy in die opstanding wees? Want al sewe was met haar getroud."

24 Jesus het vir hulle gesê: "Julle misgis julle, want julle ken nie die Skrif nie en ook nie die krag van God nie."^f

25 Want wanneer hulle uit die dood opstaan, trou mans nie en word vrouens ook nie in die huwelik gegee nie, maar hulle is soos engele in die hemel.^g

26 Het julle nie in die boek van Moses gelees wat God vir hom by die doringbos gesê het nie? God het van die opstanding gepraat toe hy gesê het: 'Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.'^h

27 Hy is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes. Julle misgis julle heeltemal."ⁱ

HFST. 12

a Ro 13:7

Tit 3:1

1Pe 2:13

b Mal 3:8

Mt 22:21

Lu 20:25

c Han 23:8

d Mt 22:23-28

Lu 20:27-33

e Ge 38:7, 8

De 25:5, 6

f Mt 22:29

g Mt 22:30

Lu 20:34-36

h Eks 3:2, 6

Mt 22:31

Lu 20:37

i Mt 22:32

Lu 20:38

Tweede kol.

a Mt 22:34-36

b De 6:4, 5

Jos 22:5

Mt 22:37

Lu 10:27

c Le 19:18

Mt 22:39, 40

Ro 13:9

Ga 5:14

Jak 2:8

d De 4:39

De 6:4

Jes 45:21

e De 6:5

1Sa 15:22

Ho 6:6

f Mt 22:46

g Mt 22:42-45

Lu 20:41-44

Joh 7:42

h 2Sa 23:2

2Ti 3:16

2Pe 1:21

i Ps 110:1

Han 2:34, 35

1Kor 15:25

Heb 1:13

j Ro 1:3

Op 22:16

28 Een van die skrifgeleerdes het nader gekom en gehoor hoe hulle redeneer. Hy het geweet dat Jesus vir hulle 'n goeie antwoord gegee het en het hom gevra: "Wat is die heel eerste* gebod?"^a

29 Jesus het geantwoord: "Die eerste gebod is: 'Hoor, o Israel, Jehovah* ons God is een Jehovah,* 30 en jy moet Jehovah* jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel[#] en met jou hele verstand en met al jou krag.'^b

31 Die tweede gebod is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'^c Daar is geen ander gebod wat belangriker is as hierdie twee nie." 32 Die skrifgeleerde het vir hom gesê: "Leermeester, wat u gesê het, is goed en is waar: 'Hy is Een, en daar is geen ander God nie.'^d

33 en om hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele verstand en met al jou krag en om jou naaste lief te hê soos jouself, is baie meer werd as al die heelbrandoffers en offerandes."^e 34 Jesus kon sien dat hy intelligent geantwoord het en het vir hom gesê: "Jy is nie ver van die Koninkryk van God af nie." Niemand het die moed gehad om hom nog iets te vra nie.^f

35 Maar terwyl Jesus die mense in die tempel geleer het, het hy gevra: "Hoekom sê die skrifgeleerdes dat die Christus Dawid se seun is?"^g 36 Deur die heilige gees^h het Dawid self gesê: 'Jehovah* het vir my Here gesê: "Sit aan my regterhand totdat ek jou vyande onder jou voete plaas."ⁱ 37 Dawid self noem hom 'Here'. Hoe kan hy dan sy seun wees?"^j

12:28 *Of "belangrikste". 12:29, 30, 36 *Sien Aanh. A5. 12:30 [#]Sien Woordelys.

Die groot skare het dit geniet om na hom te luister. **38** Terwyl hy die mense geleer het, het hy gesê: "Pasop vir die skrifgeleerdes wat in lang klere wil rondloop en op die markpleine gegroet wil word" **39** en die voorste* sitplekke in die sinagoges en die beste plekke by aandetes wil hê.^b **40** Hulle beroof die weduwees van hulle besittings* en doen lang gebede net om deur mense gesien te word. Hulle sal 'n strenger# oordeel ontvang."

41 Toe het hy gaan sit waar hy die skatkiste^c kon sien en begin kyk hoe die skare geld in die skatkiste gooi, en 'n aantal ryk mense het baie muntstukke ingegooi.^d **42** En 'n arm weduwee het gekom en twee muntstukkes van baie min waarde* ingegooi.^e **43** Hy het toe sy dissipels na hom toe geroep en vir hulle gesê: "Ek verseker julle dat hierdie arm weduwee meer ingegooi het as al die ander mense wat geld in die skatkiste gegooi het."^f **44** Want hulle almal het uit hulle oorfloed ingegooi, maar al is sy baie arm,* het sy alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."^g

13 Terwyl hy uit die tempel uitgegaan het, het een van sy dissipels vir hom gesê: "Leermeester, kyk na hierdie pragtige klippe en geboue!"^h **2** Maar Jesus het vir hom gesê: "Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal beslis nie 'n klip op 'n klip gelos word wat nie afgebreek sal word nie."ⁱ

3 Terwyl hy op die Olyfberg gesit het waar hulle die tem-

12:39 *Of "beste". **12:40** *Lett. "Hulle verslind die huise van die weduwees". *Of "swaarder". **12:42** *Lett. "twee lepta, wat 'n quadrans is". Sien Aanh. B14. **12:44** *Of "ly sy gebrek".

HFST. 12

a Lu 20:45-47

b Mt 23:6, 7
Lu 11:43

c 2Kn 12:9

d Lu 21:1

e Lu 21:2

f Lu 21:3
2Kor 8:12

g Lu 21:4

HFST. 13

h Mt 24:1
Lu 21:5

i Le 26:31
Mt 24:2
Lu 19:44
Lu 21:6

Tweede kol.

a Mt 24:3
Lu 21:7

b Mt 24:4, 5
Lu 21:8

c Mt 24:6
Lu 21:9

d Op 6:4

e Mt 24:7
Lu 21:10, 11
Op 6:6, 8

f Mt 24:8

g Han 4:15

h Mt 10:17
Joh 16:2

i Mt 24:9
Lu 21:12, 13
2Ti 3:12
Op 2:10

j Mt 24:14
Ro 10:18
Op 14:6

k Eks 4:12
Mt 10:19, 20
Lu 12:11, 12
Lu 21:14, 15
Han 4:8
Han 6:9, 10

l Mi 7:6
Mt 10:21
Lu 21:16
2Ti 3:1, 3

pel kon sien, het Petrus, Jakobus, Johannes en Andre'as hom die volgende vraag gevra toe hulle alleen was: **4** "Sê vir ons: Wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees dat al hierdie dinge tot 'n einde gaan kom?"^a **5** Toe het Jesus vir hulle gesê: "Pasop dat niemand julle mislei nie.^b **6** Baie sal kom en my naam gebruik en sê: 'Dit is ek,' en hulle sal baie mense mislei. **7** En wanneer julle van oorloë en berigte van oorloë hoor, moet julle nie bang wees nie. Hierdie dinge moet gebeur, maar dit is nog nie die einde nie.^c

8 "Want nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk.^d Daar sal aardbewings op die een plek ná die ander wees, en daar sal ook voedseltekorte wees.^e Hierdie dinge is die begin van 'n baie moeilike tyd."^f

9 "Julle moet wakker en versigtig wees. Mense sal julle aan plaaslike howe oorlewer,^g en julle sal in sinagoges geslaan word^h en voor goewerneys en konings gebring word ter wille van my, as 'n getuienis vir hulle.ⁱ **10** Die goeie nuus moet ook eers aan mense van al die nasies verkondig word.^j **11** En wanneer hulle julle vat om julle oor te lewer, moet julle nie vooraf bekommerd wees oor wat julle sal sê nie, maar julle moet sê wat ook al in daardie uur aan julle gegee word, want dit is nie julle wat praat nie, dit is die heilige gees.^k **12** Wat meer is, broer sal broer aan die dood oorlewer, en 'n pa 'n kind, en kinders sal teen ouers opstaan en hulle laat doodmaak.^l **13** En julle sal deur alle mense gehaat word as gevolg van

13:8 *Lett. "van geboortepyne".

my naam.^a Maar die een wat tot die einde toe volhard,^b sal gered word.^c

14 "Maar wanneer julle die walglike ding wat verwoesting veroorsaak,^d sien staan waar dit nie behoort te staan nie (hier het die leser insig nodig), moet die mense wat in Jude'a is, na die berge begin vlug.^e **15** Laat die man wat op die dak is, nie afkom of ingaan om enigiets uit sy huis te gaan haal nie, **16** en laat die man wat op die landery is, nie teruggaan na die dinge wat hy agtergelaat het om sy bogleed te gaan haal nie. **17** Dit sal 'n verskriklike tyd wees vir die swanger vrouens en vir dié wat in daardie dae 'n baba borsvoed!^f **18** Hou aan bid dat dit nie in die winter sal gebeur nie, **19** want daardie dae sal dae van 'n verdrukking wees^g soos daar van die begin van God se skepping af tot op daardie tyd nog nie plaasgevind het nie en nie weer sal plaasvind nie.^h **20** Om die waarheid te sê, as Jehovah* nie die dae verkort nie, sal niemand[#] gered word nie, maar weens dié wat hy uitgekies het, sal hy die dae verkort.ⁱ

21 "En as iemand dan vir julle sê: 'Kyk! Hier is die Christus,' of: 'Kyk! Daar is hy,' moet julle dit nie glo nie.^j **22** Want valse christusse en valse profete sal verskyn^k en sal tekens en wonderwerke doen om dié wat uitgekies is, te probeer mislei. **23** Julle moet dus oppas.^l Ek het alles vooraf vir julle gesê.

24 "Maar in daardie dae, ná daardie verdrukking, sal die son donker word, en die maan sal nie sy lig gee nie,^m **25** en die sterre sal uit die hemel val, en die kragte wat in die hemel

13:20 *Sien Aanh. A5. #Lett. "geen vlees".

HFST. 13

- a Lu 21:17
- b 2Ti 4:7
Heb 3:6
- c Mt 10:22
Mt 24:13
Lu 21:19
Op 2:10
- d Da 9:27
Da 11:31
- e Mt 24:15-20
Lu 21:20-23
- f Lu 21:23
Lu 23:28
- g Op 7:14
- h Da 12:1
Mt 24:21
- i Mt 24:22
- j Mt 24:23, 24
Lu 17:23
Lu 21:8
1Jo 4:1
- k Mt 7:15
- l Mt 24:42
Ef 6:18
2Pe 3:17
- m Mt 24:29
Lu 21:25, 26

Tweede kol.

- a Da 7:13
- b Mt 24:30
Lu 21:27
Op 1:7
- c Mt 24:31
- d Mt 24:32
Lu 21:29-33
- e Mt 24:33
- f Mt 24:34
Lu 21:32
- g Jes 51:6
- h Jos 23:14
Jes 40:8
Mt 24:35
- i Mt 24:36
Han 1:7
- j Ro 13:11
1Te 5:6
- k Mt 25:13
Lu 21:34
- l Mt 25:14
- m Lu 12:35, 36
- n Mt 24:42
- o Lu 21:36
- p Mt 25:5
- q Hab 2:3

is, sal geskud word. **26** En dan sal hulle die Seun van die mens^a met groot krag en heerlikheid in die wolke sien kom.^b **27** Hy sal dan die engele uitstuur en dié wat vir hom uitgekies is, bymekaarmaak uit die vier windrigtings, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.^c

28 "Leer nou uit die volgende illustrasie van die vyeboom: Sodra sy jong takkies uitloop en die boom blare kry, weet julle dat die somer naby is.^d **29** Net so moet julle, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, ook weet dat hy naby is, voor die deur.^e **30** Ek verseker julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur nie.^f **31** Hemel en aarde sal verdwyn,^g maar my woorde sal nooit verdwyn nie.^h

32 "Niemand weet wanneer daardie dag of uur sal kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie, maar net die Vader.ⁱ **33** Bly op die uitkyk, bly wakker,^j want julle weet nie wanneer dit die vastgestelde tyd is nie.^k **34** Dit is soos 'n man wat na die buiteland gereis het en sy huis verlaat het. Hy het gesag aan sy slawe gegee^l en aan elkeen sy eie taak gegee. Hy het ook die deurwagter beveel om aan te hou waak.^m **35** Hou dus aan waak, want julle weet nie wanneer die meester van die huis kom nie.ⁿ Dalk is dit laat in die dag of middernag of voor dagbreek* of vroeg in die oggend.^o **36** Sorg dat hy julle nie aan die slaap vind^p wanneer hy skielik kom nie. **37** Maar wat ek vir julle sê, sê ek vir almal: Hou aan waak."^q

13:35 *Lett. "wanneer die haan kraai".

14 Die Pasga^a en die Fees van die Ongesuurde Brode^b was twee dae later.^c En die hoofpriesters en die skrifgeleerdes het na 'n manier gesoek om hom deur 'n slinkse plan gevange te neem en dood te maak.^d **2** maar hulle het gesê: "Nie by die fees nie, sodat die volk nie miskien in opstand kom nie."

3 Terwyl hy in Beta'nië in die huis van Simon die melaatse geëet het,* het 'n vrou gekom met 'n albasterfles waarin daar lekkerruik-olie was, egte nardus, baie duur. Sy het die albasterfles oopgebreek en die olie op sy kop begin uitgooi.^e

4 Toe het party kwaad geword en vir mekaar gesê: "Hoekom is hierdie olie gemors? **5** Hierdie olie kon vir meer as 300 denarii* verkoop word, en die geld kon vir die armes gegee word!" Hulle het hulle vir haar vererg.^f **6** Maar Jesus het gesê: "Los haar. Hoekom maak julle dit so moeilik vir haar? Sy het iets goeds vir my gedoen.^g **7** Want julle het altyd die armes by julle,^g en julle kan enige tyd iets goeds vir hulle doen, maar julle sal my nie altyd hê nie.^h **8** Sy het gedoen wat sy kon. Sy het vooraf hierdie olie op my liggaam uitgereg om my vir my begrafnis voor te berei.ⁱ **9** Ek verseker julle: Oral waar die goeie nuus in die wêreld verkondig word,^j sal wat hierdie vrou gedoen het, ook vertel word, en sy sal hiervoor onthou word."^k

10 Judas Iska'riot, een van die Twaalf, het na die hoofpriesters toe gegaan om Jesus aan hulle te verraai.^l **11** Toe hulle dit hoor, was hulle baie bly

14:3 *Of "aan tafel was". **14:5** *Sien Aanh. B14. ^aOf "Hulle het haar uitgetrap".

HFST. 14

a Eks 12:3, 6
Le 23:5

b Le 23:6

c Joh 13:1

d Mt 26:2-5
Lu 22:1, 2e Mt 26:6-9
Joh 12:2-5f Mt 26:10
Joh 12:7

g De 15:11

h Mt 26:11
Joh 12:8i Mt 26:12
Joh 12:7

j Mt 24:14

k Mt 26:13

l Mt 26:14-16
Lu 22:3-6

Tweede kol.

a Sag 11:12

b Eks 12:15, 18
Eks 23:15

c Lu 22:1, 7

d Nu 9:2
Mt 26:17-19

e Lu 22:10-13

f Mt 26:20
Lu 22:14g Ps 41:9
Mt 26:21, 22
Lu 22:21, 23
Joh 13:21, 22

h Mt 26:23

i Lu 22:22

j Mt 26:24

en het hulle belowe om vir hom silwergeld te gee.^a Daarom het hy na 'n geleentheid begin soek om hom te verraai.

12 En op die eerste dag van die Ongesuurde Brode,^b die dag waarop die Pasga-offer geslag word,^c het sy dissipels vir hom gevra: "Waar wil u hê moet ons gaan voorberei sodat u die Pasga kan eet?"^d **13** Toe het hy twee van sy dissipels gestuur en vir hulle gesê: "Gaan in die stad in, en 'n man wat 'n waterkruik dra, sal julle ontmoet. Volg hom,^e **14** en waar hy ingaan, moet julle vir die meester van die huis sê: 'Die Leermeester vra: "Waar is die gastevertrek waar ek die Pasga saam met my dissipels kan eet?"'^f **15** En hy sal vir julle 'n groot bo-kamer wys, wat ingerig en gereed is. Berei dit daar vir ons voor." **16** Toe het die dissipels vertrek, en hulle het in die stad ingegaan en dit gevind net soos hy vir hulle gesê het, en hulle het vir die Pasga voorberei.

17 Toe dit aand geword het, het hy met die Twaalf gekom.^f **18** En terwyl hulle aan tafel was en geëet het, het Jesus gesê: "Hiervan kan julle seker wees: Een van julle wat saam met my eet, sal my verraai."^g **19** Hulle het hartseer geword en het een vir een vir hom gevra: "Dit is tog seker nie ek nie?" **20** Hy het vir hulle gesê: "Dit is een van die Twaalf, die een wat sy hand saam met my in die bak steek.^h **21** Want die Seun van die mens gaan weg, net soos daar oor hom geskryf is, maar dit sal sleg gaan met die man deur wie die Seun van die mens verraai word!ⁱ Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."^j

22 En terwyl hulle verder geëet het, het hy 'n brood geneem, gebid, dit gebreek en dit

vir hulle gegee en gesê: “Neem dit. Dit beteken my liggaam.”^a **23** Hy het ook ’n beker geneem, ’n dankgebed gedoen en dit vir hulle gegee, en hulle het almal daaruit gedrink.^b **24** En hy het vir hulle gesê: “Dit beteken my ‘bloed’ van die verbond,^c wat vir baie uitgestort sal word.^e **25** Ek verseker julle: Ek sal beslis nie weer wyn drink tot op die dag wanneer ek nuwe wyn in die Koninkryk van God drink nie.” **26** Uiteindelik het hulle, nadat hulle lofliedere* gesing het, na die Olyfberg gegaan.^f

27 En Jesus het vir hulle gesê: “Julle sal almal struikel, want daar is geskryf: ‘Ek sal die herder slaan,^g en die skape sal verstrooi word.’^h **28** Maar nadat ek opgewek is, sal ek voor julle uit gaan na Galile’a.”ⁱ **29** Toe het Petrus vir hom gesê: “Selfs al struikel al die ander, sal ek nie struikel nie.”^j **30** Jesus het toe vir hom gesê: “Ek verseker jou: Vandag, ja, vanaand nog, voordat ’n haan twee keer kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie.”^k **31** Maar hy het bly sê: “Al moet ek saam met u sterf, sal ek nooit sê dat ek u nie ken nie.” Al die ander het ook dieselfde begin sê.^l

32 Toe het hulle by ’n plek met die naam Getse’mane gekom, en hy het vir sy dissipels gesê: “Sit hier terwyl ek gaan bid.”^m **33** Hy het Petrus en Jakobus en Johannes saam met hom geneem,ⁿ en hy het baie angstig en erg ontsteld geword. **34** Hy het vir hulle gesê: “Ek* is verskriklik hartseer,^o ja, tot die dood toe. Bly hier en bly wakker.”^p **35** En hy het ’n entjie verder gegaan en

14:26 *Of “psalms”. 14:34 *Of “My siel”.

HFST. 14

- a Mt 26:26
Lu 22:19
1Kor 11:23, 24
- b Mt 26:27
1Kor 10:16
1Kor 11:25
- c Eks 24:8
Le 17:11
Heb 9:22
- d Jer 31:31
Heb 7:22
Heb 9:15
- e Jes 53:12
Mt 26:28
Lu 22:20
- f Mt 26:30
Lu 22:39
Joh 18:1
- g Jes 53:5
Da 9:26
- h Sag 13:7
Mt 26:31-33
Mt 26:56
Mr 14:50
Joh 16:32
- i Mr 16:7
- j Lu 22:31-33
Joh 13:37
- k Mt 26:34
Lu 22:34
Joh 13:38
- l Mt 26:35
- m Mt 26:36, 37
Lu 22:39-41
Joh 18:1
- n Mr 9:2
- o Joh 12:27
- p Mt 26:38

Tweede kol.

- a Ro 8:15
Ga 4:6
- b Mt 26:39
Lu 22:42
Joh 6:38
Heb 5:7
- c Mt 26:40
Lu 22:45
- d Mt 6:13
Lu 11:4
Lu 22:46
- e Mt 26:41
Ro 7:23
- f Mt 26:42-46
- g Joh 13:1
- h Joh 18:2
- i Mt 26:47-51
Lu 22:47-51
Joh 18:3

op die grond neergeval en begin bid dat die uur by hom moet verbygaan as dit moontlik is. **36** Hy het gesê: “Abba,* Vader,^a alles is vir u moontlik. Neem hierdie beker van my af weg. Maar nie wat ek wil nie, maar wat u wil.”^b **37** Hy het teruggedra en gesien dat hulle slaap, en hy het vir Petrus gesê: “Simon, slaap jy? Het jy nie die krag gehad om een uur wakker te bly nie?”^c **38** Hou aan waak en bid aanhoudend, sodat julle nie in versoeking kom nie.^d Die gees is natuurlik gretig,* maar die vlees is swak.”^e **39** En hy het weer weggegaan en gaan bid en dieselfde woorde gesê.^f **40** Hy het teruggekom en gesien dat hulle slaap, want hulle kon nie hulle oë oophou nie, en hulle het nie geweet wat om vir hom te sê nie. **41** En hy het die derde keer teruggekom en vir hulle gesê: “Op ’n tyd soos hierdie slaap julle en rus julle! Dit is genoeg! Die tyd het gekom!^g Die Seun van die mens word verraai en word aan sondaars oorgelewer. **42** Staan op, laat ons gaan. Kyk! My verraaiers is naby.”^h

43 En onmiddellik, terwyl hy nog gepraat het, het Judas, een van die Twaalf, daar aangekom. Daar was ’n skare by hom wat swaarde en knuppels by hulle gehad het en wat deur die hoofpriesters en die skrifgeleerdes en die ouerleute gestuur is.ⁱ **44** Sy verraaiers het met hulle afgespreek om vir hulle ’n teken te gee. Hy het gesê: “Die een wat ek soen, dit is hy. Neem hom in hegtenis en lei hom weg en maak seker dat hy nie wegkom nie.” **45** Hy het teruguit na Jesus toe gekom en

14:36 *’n Hebreeuse of Aramese woord wat “o Vader!” beteken. 14:38 *Of “gewillig”.

gesê: "Rabbi!" en hom gesoen.

46 Toe het hulle hom gegryp en hom in hegtenis geneem.

47 Maar een van die mans wat daar gestaan het, het sy swaard uitgetrek en dit na die slaaf van die hoëpriester geswaai en sy oor afgekap.^a **48** Toe het Jesus vir hulle gesê: "Het julle met swaarde en knuppels gekom om my in hegtenis te neem asof ek 'n rower is?"^b **49** Dag ná dag was ek by julle in die tempel en het ek die mense geleer,^c en tog het julle my nie in hegtenis geneem nie. Maar dit gebeur sodat die Skrif vervul kan word."^d

50 En hulle almal het hom verlaat en gevlug.^e **51** Maar 'n sekere jong man, wat net 'n kleed van fyn linne om sy kaal lyf gedra het, het hom begin volg en naby hom gebly, en hulle het hom probeer gryp. **52** maar hy het sy linnekleed agtergelaat en kaal* weggekom.

53 Hulle het Jesus toe weggelei na die hoëpriester toe,^f en al die hoofpriesters en die ouermanne en die skrifgeleerdes het bymekaargekom.^g **54** Maar Petrus het hom op 'n goeie afstand tot in die binnehof van die hoëpriester gevolg, en hy het by die huisknegte gesit en hom by 'n helder vuur warm gemaak.^h **55** Intussen het die hoofpriesters en die hele Sanhedrin valse getuienis teen Jesus gesoek om hom dood te maak, maar hulle het niks gevind nie.ⁱ **56** Baie het wel valslik teen hom getuig,^j maar hulle getuienis het nie ooreengestem nie. **57** Sekere mense het opgestaan en valslik teen hom getuig en gesê: **58** "Ons het hom hoor sê: 'Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n an-

HFST. 14

a Mt 26:51
Lu 22:50
Joh 18:10

b Mt 26:55, 56
Lu 22:52, 53

c Lu 19:47
Joh 18:20

d Ps 22:6
Jes 53:7
Da 9:26
Lu 22:37

e Sag 13:7
Mt 26:31
Joh 16:32

f Joh 18:13

g Mt 26:57
Lu 22:54, 55

h Mt 26:58
Joh 18:15

i Mt 26:59, 60

j Ps 35:11

Tweede kol.

a Mt 26:61
Mr 15:29
Joh 2:19

b Mt 26:62, 63

c Jes 53:7
1Pe 2:23

d Da 7:13

e Ps 110:1
Ef 1:20
Kol 3:1

f Mt 24:30
Mt 26:64
Lu 21:27
Op 1:7

g Mt 26:65, 66

h Le 24:16
Joh 19:7

i Jes 50:6
Jes 53:3
Mt 26:67, 68

j Lu 22:63-65

k Mt 26:69-75
Lu 22:55-62
Joh 18:25, 26

der een bou wat nie met hande gemaak is nie."^a **59** Maar selfs oor hierdie punt het hulle getuienis nie ooreengestem nie.

60 Toe het die hoëpriester in die vergadering opgestaan en Jesus ondervra en gesê: "Het jy niks om te sê nie? Hoor jy nie waarvan hierdie mans jou beskuldig nie?"^b **61** Maar hy het stilgebly en geen antwoord gegee nie.^c Die hoëpriester het hom weer begin ondervra en vir hom gesê: "Is jy die Christus, die Seun van die Geseënde?" **62** Toe het Jesus gesê: "Ek is, en julle sal die Seun van die mens^d aan die regterhand^e van die Magtige sien sit en met die wolke van die hemel sien kom."^f

63 Toe het die hoëpriester sy klere geskeur en gesê: "Waarvoor het ons nog getuies nodig?"^g **64** Julle het gehoor hoe hy laster. Wat is julle besluit?"* Hulle almal het geoordeel dat hy die dood verdien.^h **65** En party het op hom begin spoeg,ⁱ en hulle het sy gesig bedek, en hulle het begin om hom met hulle vuiste te slaan en vir hom te sê: "Profeteer!" En die wagte van die hof het hom in die gesig geklap en hom weggeneem.^j

66 En terwyl Petrus onder in die binnehof was, het een van die diensmeisies van die hoëpriester daar aangekom.^k **67** Toe sy Petrus sien, wat besig was om hom warm te maak, het sy reguit na hom gekyk en gesê: "Jy was ook saam met die Nasarener, hierdie Jesus." **68** Maar hy het dit ontken en gesê: "Ek ken hom nie en ek weet ook nie waarvan jy praat nie," en hy het buitertoe gegaan na die voorportaal toe. **69** Toe die diensmeisie hom sien, het sy weer vir die mense wat daar staan,

14:52 *Of "net in sy onderklere".

14:64 *Of "Wat dink julle?"

begin sê: "Hy is een van hulle." **70** Hy het dit weer ontken. En ná 'n rukkjie het die mense wat daar gestaan het, weer vir Petrus begin sê: "Jy is beslis een van hulle, want jy is 'n Galileër." **71** Maar hy het begin sweer dat hy die waarheid praat, en hy het gesê: "Ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie!" **72** Onmiddellik het 'n haan 'n tweede keer gekraai,^a en Petrus het onthou wat Jesus vir hom gesê het: "Voordat 'n haan twee keer kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie."^b En hy het in trane uitgebars.

15 Onmiddellik met dagbreek het die hoofpriesters, die ouermanne en die skrifgeleerdes, die hele Sanhedrin, saam besluit wat om met Jesus te doen, en hulle het Jesus geboei en hom weggelei en hom aan Pilatus oorgelewer.^c **2** Pilatus het toe vir hom gevra: "Is jy die Koning van die Jode?"^d Hy het geantwoord: "U het dit self gesê."^e **3** Maar die hoofpriesters het hom van baie dinge beskuldig. **4** Pilatus het hom weer begin ondervra en gesê: "Het jy niks om te sê nie?"^f Hoor jy nie waarvan hulle jou alles beskuldig nie?"^g **5** Maar Jesus het niks verder geantwoord nie, en dit het Pilatus verbaas.^h

6 Pilatus het gewoonlik by elke fees een gevangene vrygelaat vir wie die volk gevra het.ⁱ **7** Op daardie tyd was 'n man met die naam Barab'bas in die tronk saam met ander wat moord gepleeg het toe hulle teen die regering in opstand gekom het. **8** Toe het die skare gekom en begin vra dat Pilatus doen wat hy gewoonlik vir hulle gedoen het. **9** Hy het hulle geantwoord: "Wil julle hê dat ek die Koning van die

HFST. 14
a Joh 18:27
b Mt 26:34
Mr 14:30
Lu 22:34
Joh 13:38

HFST. 15
c Ps 2:2
Mt 27:1, 2
Lu 22:66
Joh 18:28
Han 3:13
Han 4:26

d Joh 18:33, 37

e Mt 27:11-14
Lu 23:3

f Mt 26:62

g Joh 19:9, 10

h Jes 53:7

i Mt 27:15-18
Joh 18:39

Tweede kol.

a Lu 23:16

b Mt 21:38

c Mt 27:20-23
Han 3:14

d Lu 23:20-25

e Joh 19:6

f Han 3:13
Han 13:28

g Joh 19:1

h Mt 27:24, 26

i Mt 27:27-31

j Joh 19:3

k Joh 19:16

Jode vir julle moet vrylaat?"^a **10** Want Pilatus het geweet dat die hoofpriesters hom uit jaloesie* oorgelewer het.^b **11** Maar die hoofpriesters het die skare opgesteek om te vra dat hy eerder Barab'bas vir hulle moet vrylaat.^c **12** Pilatus het weer geantwoord en vir hulle gevra: "Wat moet ek dan doen met die een wat julle die Koning van die Jode noem?"^d **13** Hulle het weer eens uitgeroep: "Hang hom aan die paal!"^e **14** Maar Pilatus het vir hulle gevra: "Hoekom? Wat het hy gedoen wat sleg is?" Maar hulle het al hoe harder uitgeroep: "Hang hom aan die paal!"^f **15** Omdat Pilatus die skare tevrede wou stel, het hy Barab'bas vir hulle vrygelaat, en nadat hy Jesus met 'n sweep laat slaan het,^g het hy hom oorgelewer om aan 'n paal gehang te word.^h

16 Die soldate het hom toe weggelei in die binnehof in, dit wil sê in die goewerneur se woning in, en hulle het die hele afdeling bymekaargeriep.ⁱ **17** Hulle het vir hom 'n pers mantel aangetrek en 'n kroon van dorings gevleg en dit vir hom opgesit. **18** En hulle het vir hom begin sê: "Goeiedag, Koning van die Jode!"^j **19** Hulle het hom ook met 'n riet op die kop geslaan en op hom gespoeg, en hulle het op hulle knieë gegaan en voor hom neergebuig.* **20** Uiteindelik, nadat hulle hom bespot het, het hulle die pers mantel uitgetrek en sy bo-klere vir hom aangetrek. Toe het hulle hom uitgelei om hom aan 'n paal te hang.^k **21** En hulle het 'n verbyganger, 'n sekere Simon van Sire'ne, wat van die platteland af gekom het, die pa van

15:10 *Of "afgung". 15:19 *Of "aan hom eer bewys".

Aleksander en Rufus, gedwing om Jesus se folterpaal* te dra.^a

22 Toe het hulle hom na die plek gebring wat *Golgota* genoem word. Dit beteken "skedelplek".^b **23** Hier het hulle vir hom wyn probeer gee wat met bedwelmende mirre gemeng is,^c maar hy wou dit nie hê nie.

24 Hulle het hom aan die paal gehang en sy bo-klere onder mekaar verdeel deur die lot daarvoor te werp om vas te stel wat elkeen sou kry.^d **25** Dit was die derde uur* toe hulle hom aan die paal gehang het.

26 Die opskrif van die aanklag teen hom het gesê: "Die Koning van die Jode."^e **27** Hulle het ook twee rowers langs hom aan pale gehang, een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant.^f **28** *—

29 Die mense wat daar verbygegaan het, het hom beledig. Hulle het hulle koppe geskud^g en gesê: "Ha! Jy wat die tempel sou afbreek en dit in drie dae sou opbou,^h **30** red jouself deur van die folterpaal* af te kom."

31 Die hoofpriesters en die skrifgeleerdes het hom ook onder mekaar bespot en gesê: "Hy het ander gered, maar hy kan homself nie red nie!" **32** Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die folterpaal* afkom, sodat ons kan sien en glo."ⁱ Selfs dié wat langs hom aan pale gehang is, het hom beledig.^k

33 Op die sesde uur* het die hele land donker geword, tot die negende uur* toe.^l **34** En op die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: "*Eli, Eli, lama sabagta'ni?*" Dit beteken: "My God, my God, waarom het u my verlaat?"^m **35** Toe party van dié wat daar naby

15:21, 30, 32 *Sien Woordelys. **15:25** *D.w.s. omtrent 09:00. **15:28** *Sien Aanh. A3. **15:33** *D.w.s. omtrent 12:00. #D.w.s. omtrent 15:00.

HFST. 15

a Mt 27:32
Lu 23:26

b Mt 27:33-37
Lu 23:33
Joh 19:17
Heb 13:12

c Ps 69:21

d Ps 22:18
Joh 19:23, 24

e Mt 27:29, 37
Lu 23:38
Joh 19:19

f Mt 27:38

g Ps 22:7
Ps 109:25
Jes 53:3

h Mt 27:39-42
Mr 14:58

i Lu 23:35

j Mt 16:4

k Mt 27:44
1Pe 2:23

l Mt 27:45
Lu 23:44

m Ps 22:1
Mt 27:46-49

Tweede kol.

a Ps 69:21
Joh 19:29

b Ps 31:5
Mt 27:50
Lu 23:46
Joh 19:30

c Eks 26:31-33
Heb 6:19

d Mt 27:51
Lu 23:45
Heb 10:19, 20

e Mt 27:54
Lu 23:47

f Mt 27:55, 56
Lu 23:49

g Lu 8:2, 3

h De 21:22, 23
Mt 27:57, 58
Lu 23:50-52
Joh 19:38

gestaan het, dit hoor, het hulle begin sê: "Kyk! Hy roep Eli'a."

36 Toe het iemand gehardloop en 'n spons vol suur wyn gemaak. Hy het dit op 'n riet gesit en dit vir hom gegee om te drink^a en gesê: "Wag! Kom ons kyk of Eli'a hom kom afhaal."

37 Maar Jesus het hard uitge-roep en gesterf.^{*b} **38** Die gordyn* van die heiligdom^c het van bo tot onder in twee geskeur.^d

39 En toe die militêre offisier, wat reg oorkant hom gestaan het, sien dat hy onder hierdie omstandighede gesterf het, het hy gesê: "Hierdie man was beslis God se Seun."^e

40 Daar was ook vrouens wat alles van 'n afstand af dopgehou het. Onder hulle was Maria Magdale'na sowel as Maria, wat die ma van Jakobus die Mindere en van Joses was, en ook Salo'me.^f **41** Toe Jesus in Galile'a was, het hulle gewoonlik saam met hom gegaan en hom bedien.^g Baie ander vrouens wat saam met hom na Jerusalem gekom het, was ook daar.

42 Toe dit reeds laatmiddag was, en omdat dit die Voorbereidingsdag was, dit wil sê die dag voor die Sabbat, **43** het Josef van Arimate'a gekom en die moed bymekaargeskraap om na Pilatus toe te gaan en vir Jesus se liggaam te vra. Josef was 'n vooraanstaande lid van die Raad, wat self ook vir die Koninkryk van God gewag het.^h **44** Pilatus het egter gewonder of Jesus al dood is, en hy het die militêre offisier laat roep en hom gevra of Jesus al gesterf het. **45** Toe Pilatus bevestiging by die militêre offisier gekry het, het hy die liggaam vir

15:37 *Of "sy laaste asem uitgeblaas". **15:38** *Of "voorhangsel".

Josef gegee. **46** Nadat hy fyn linne gekoop het en hom afgehaal het, het hy hom in die fyn linne toegedraai en hom in 'n graf* neergelê^a wat uit rots gekap was. Toe het hy 'n klip voor die ingang van die graf gerol.^b **47** Maar Maria Magdale'na en Maria die ma van Joses het bly kyk na die plek waar hy neergelê is.^c

16 Toe die Sabbat^d verby was, het Maria Magdale'na, Maria,^e die ma van Jakobus, en ook Salo'me speserye gekoop sodat hulle dit aan sy liggaam kon smeer.^f **2** En hulle het baie vroeg op die eerste dag van die week, toe die son opgekom het, na die graf* gekom.^g **3** Hulle het vir mekaar gevra: "Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf weglol?" **4** Maar toe hulle opkyk, het hulle ge-

15:46; 16:2 *Of "gedenkgraf".

HFST. 15
a Jes 53:9
b Mt 27:59, 60
Lu 23:53
Joh 19:40
c Mt 27:61
Lu 23:55

HFST. 16
d Eks 20:8, 9
e Mt 28:1
f Lu 23:55, 56
g Lu 24:1
Joh 20:1

Tweede kol.
a Lu 24:2, 3
b Lu 24:4
c Mr 8:31
Lu 18:33
Han 4:10
d Mt 28:5, 6
e Mt 26:32
Mr 14:28
f Mt 28:7
g Mt 28:8
Lu 24:9

sien dat die klip weggerol is, al was dit baie groot.^a **5** Toe hulle in die graf ingaan, het hulle 'n jong man in 'n lang wit kleed aan die regterkant sien sit, en hulle was verstom. **6** Hy het vir hulle gesê: "Moenie verstom wees nie.^b Julle soek na Jesus die Nasarener wat aan 'n paal gehang is. Hy is opgewek.^c Hy is nie hier nie. Kyk, hier is die plek waar hulle hom neergelê het.^d **7** Maar gaan sê vir sy dissipels en Petrus: 'Hy gaan voor julle uit na Galile'a.^e Julle sal hom daar sien, net soos hy vir julle gesê het.'^f **8** Toe hulle uitkom, het hulle van die graf af weggevlug, en hulle het gebewe van skrik en verbasing. Hulle het vir niemand enigiets vertel nie, want hulle was bang.^g

16:8 *Volgens betroubare vroeë manuskripte eindig die Evangelie van Markus met die woorde in vs. 8. Sien Aanh. A3.

VOLGENS LUKAS

OORSIG

- Aan Teofilus (1-4)
Gabriël voorspel Johannes die Doper se geboorte (5-25)
Gabriël voorspel Jesus se geboorte (26-38)
Maria besoek Elisabet (39-45)
Maria loof Jehovah (46-56)
Johannes gebore, kry sy naam (57-66)
Sagaria se profesie (67-80)
- Jesus se geboorte (1-7)
Engele verskyn aan herders (8-20)
Besnydenis en reiniging (21-24)
Simeon sien die Christus (25-35)
Anna praat oor die kind (36-38)

- Terug na Nasaret (39, 40)
Twaalfjarige Jesus by die tempel (41-52)
- Begin van Johannes se werk (1, 2)
Johannes preek oor doop (3-20)
Jesus se doop (21, 22)
Geslagslyn van Jesus Christus (23-38)
- Die Duiwel versoek Jesus (1-13)
Jesus begin in Galilea preek (14, 15)
Jesus in Nasaret verwerp (16-30)
In die sinagoge in Kapernaum (31-37)
Simon se skoonma en ander word genees (38-41)

- Skare vind Jesus op 'n afgeleë plek (42-44)
- 5 Wonderdadige visvangs; eerste dissipels (1-11)
 'n Melaatse word genees (12-16)
 Jesus genees 'n verlamde man (17-26)
 Jesus roep Levi (27-32)
 Vraag oor vas (33-39)
- 6 Jesus, "Here van die Sabbat" (1-5)
 Man met misvormde hand word genees (6-11)
 Die 12 apostels (12-16)
 Jesus leer en genees mense (17-19)
 Faktore vir geluk en waarskuwings (20-26)
 Liefde vir vyande (27-36)
 Hou op om te oordeel (37-42)
 Geken aan sy vrugte (43-45)
 Huise met goeie en slegte fondament (46-49)
- 7 Geloof van 'n militêre offisier (1-10)
 Jesus wêk 'n weduwee se seun in Nain op (11-17)
 Johannes die Doper geprys (18-30)
 Geslag word veroordeel (31-35)
 'n Vrou se sondes vergewe (36-50)
 Illustrasie van mans met skuld (41-43)
- 8 Vrouens saam met Jesus (1-3)
 Illustrasie van saaiër (4-8)
 Hoekom Jesus illustrasies gebruik het (9, 10)
 Illustrasie van saaiër verduidelik (11-15)
 Lamp moenie bedek word nie (16-18)
 Jesus se ma en broers (19-21)
 Jesus laat 'n storm bedaar (22-25)
 Jesus stuur demone in varke in (26-39)
 Jairo se dogter; 'n vrou raak aan Jesus se bo-kleed (40-56)
- 9 Die Twaalf word opgelei vir bediening (1-6)
 Herodes verward oor Jesus (7-9)
 Jesus voed 5 000 (10-17)
 Petrus identifiseer die Christus (18-20)
 Jesus se dood voorspel (21, 22)
 Ware dissipelskap (23-27)
- Jesus se voorkoms verander (28-36)
 Demoonbesete seun word genees (37-43a)
 Jesus se dood weer voorspel (43b-45)
 Dissipels stry oor wie belangrikste is (46-48)
 Wie nie teen ons is nie, is vir ons (49, 50)
 'n Samaritaanse dorpie verwerp Jesus (51-56)
 Hoe om Jesus te volg (57-62)
- 10 Jesus stuur die 70 uit (1-12)
 Waarskuwing aan onberouvolle stede (13-16)
 Die 70 keer terug (17-20)
 "Aan jong kinders geopenbaar" (21-24)
 Illustrasie van goedhartige Samaritaan (25-37)
 Jesus besoek Marta en Maria (38-42)
- 11 Hoe om te bid (1-13)
 Modelgebed (2-4)
 Demone deur God se vinger uitgedryf (14-23)
 Onrein gees keer terug (24-26)
 Ware geluk (27, 28)
 Teken van Jona (29-32)
 Lamp van die liggaam (33-36)
 Skynheiliges word veroordeel (37-54)
- 12 Suurdeeg van die Fariseërs (1-3)
 Vrees God, nie mense nie (4-7)
 Erken eenheid met Christus (8-12)
 Illustrasie van dwase ryk man (13-21)
 Hou op om bekommerd te wees (22-34)
 Klein kuddetjie (32)
 Waaksaamheid (35-40)
 Die getroue bestuurder en 'n ontroue bestuurder (41-48)
 Nie vrede nie, maar verdeeldheid (49-53)
 Ondersoek betekenis van die tye (54-56)
 Los sake gou op (57-59)
- 13 Toon berou of word vernietig (1-5)
 Illustrasie van vyeboom sonder vrugte (6-9)
 Vrou wat krom getrek is, op Sabbat genees (10-17)
 Illustrasies van mosterdsaadjie en suurdeeg (18-21)

- Inspanning nodig om deur nou deur te gaan (22-30)
 Herodes, "daardie jakkals" (31-33)
 Jesus treur oor Jerusalem (34, 35)
- 14 Man met watersug op Sabbat genees (1-6)
 Wees 'n nederige gas (7-11)
 Nooi dié wat jou nie kan terugbetaal nie (12-14)
 Illustrasie van gaste met verskonings (15-24)
 Koste van dissipelskap (25-33)
 Sout wat sy krag verloor (34, 35)
- 15 Illustrasie van verlore skaap (1-7)
 Illustrasie van verlore muntstuk (8-10)
 Illustrasie van verlore seun (11-32)
- 16 Illustrasie van onregverdige bestuurder (1-13)
 'Hy wat in die minste getrou is, is in baie getrou' (10)
 Die Wet en God se Koninkryk (14-18)
 Illustrasie van ryk man en Lasarus (19-31)
- 17 Struikelblokke, vergifnis en geloof (1-6)
 Nikswerd slawe (7-10)
 Tien melaatse mans genees (11-19)
 Koms van God se Koninkryk (20-37)
 God se Koninkryk "by julle" (21)
 "Dink aan die vrou van Lot" (32)
- 18 Illustrasie van regter en weduwee (1-8)
 Die Fariseër en die belastinggaarder (9-14)
 Jesus en die kinders (15-17)
 'n Ryk heerser se vraag (18-30)
 Jesus se dood weer voorspel (31-34)
 Blinde bedelaar kan weer sien (35-43)
- 19 Jesus besoek Saggeus (1-10)
 Illustrasie van tien minas (11-27)
 Jesus kom Jerusalem triomfantlik binne (28-40)
 Jesus huil oor Jerusalem (41-44)
 Jesus reinig die tempel (45-48)
- 20 Jesus se gesag bevraagteken (1-8)
 Illustrasie van wrede landbouers (9-19)
 God en die keiser (20-26)
 Vraag oor opstanding (27-40)
- Is die Christus die seun van Dawid? (41-44)
 Waarskuwing teen skrifgeleerdes (45-47)
- 21 Arm weduwee se twee muntstukies (1-4)
 TEKEN VAN WAT GAAN KOM (5-36)
 Oorloë, groot aardbewings, vreeslike siektes, voedseltekorte (10, 11)
 Jerusalem deur leërmagte omsingel (20)
 Vasgestelde tye van die nasies (24)
 Koms van die Seun van die mens (27)
 Illustrasie van vyeboom (29-33)
 Bly wakker (34-36)
 Jesus leer mense in die tempel (37, 38)
- 22 Priesters beplan om Jesus dood te maak (1-6)
 Voorbereidings vir laaste Pasga (7-13)
 Here se Aandmaal ingestel (14-20)
 "My verraaiër is by my aan tafel" (21-23)
 Strery oor wie belangrikste is (24-27)
 Jesus se verbond vir 'n koninkryk (28-30)
 Jesus voorspel dat Petrus hom sal verloën (31-34)
 Voorbereiding is belangrik; die twee swaarde (35-38)
 Jesus se gebed op die Olyfberg (39-46)
 Jesus in hegtenis geneem (47-53)
 Petrus verloën Jesus (54-62)
 Jesus word bespot (63-65)
 Verhoor voor die Sanhedrin (66-71)
- 23 Jesus voor Pilatus en Herodes (1-25)
 Jesus en twee misdadigers aan pale gehang (26-43)
 "Jy sal saam met my in die Paradys wees" (43)
 Jesus se dood (44-49)
 Jesus word begrawe (50-56)
- 24 Jesus word opgewek (1-12)
 Op die pad na Emmaus (13-35)
 Jesus verskyn aan die dissipels (36-49)
 Jesus vaar op na die hemel (50-53)

1 Baie mense het al probeer om 'n verslag saam te stel oor die feite waarvan ons heeltemal oortuig is,^a **2** feite wat ook aan ons oorgedra is deur die mense wat van die begin af ooggetuies was^b en die boodskap ontvang het.^c **3** Ek het alles van die begin af noukeurig nagegaan, en daarom het ek ook besluit om dit in logiese volgorde aan u te skryf, geagte Teofilus,^d **4** sodat u ten volle kan weet hoe betroubaar die dinge is wat aan u geleer is.^e

5 In die tyd van Herodes,^{*f} koning van Jude'a, was daar 'n priester met die naam Sagari'a uit die afdeling van Abi'a.^g Sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet. **6** Hulle was albei regverdig voor God en het 'n rein lewe gelei in ooreenstemming met al die gebooe en wetlike vereistes van Jehovah.* **7** Maar hulle het nie kinders gehad nie, want Elisabet was onvrugbaar, en hulle albei was al oud.

8 Eendag het Sagari'a as priester voor God gedien omdat dit sy afdeling^h se beurt was. **9** Hy was volgens die vaste gebruik van die priesters aangewys om in die heiligdom van Jehovah^{*i} in te gaan om reukwerk te offer.^j **10** Op die uur toe die reukoffer aangebied is, was al die mense buite besig om te bid. **11** Jehovah* se engel het aan Sagari'a verskyn en het aan die regterkant van die reukaltaar gestaan. **12** Sagari'a het geskrik toe hy hom sien, en hy het baie bang geword. **13** Maar die engel het vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, Sagari'a, want God het na jou smeekgebed geluister, en jou vrou Elisabet sal vir jou aan 'n seun geboor-

1:5 *Sien Woordelys. 1:6, 9, 11, 15-17 *Sien Aanb. A5.

HFST. 1

a Joh 20:30, 31

b Joh 15:27

1Pe 5:1

2Pe 1:16

c Heb 2:3

d Han 1:1

e Joh 20:30, 31

f Mt 2:1

g 1Kr 24:3, 10

h 1Kr 24:1, 19

2Kr 8:14

2Kr 31:2

i Eks 40:5

j Eks 30:7, 8

Tweede kol.

a Lu 1:59, 60

b Lu 1:57, 58

c Lu 7:28

d Nu 6:2, 3

Mt 11:18

e Jer 1:5

Ro 9:10-12

f Mal 4:6

g Mt 11:13, 14

Mt 17:10-12

h Mal 4:5, 6

i Jes 40:3

Mal 3:1

j Da 8:16

Da 9:21

Lu 1:26, 27

k Heb 1:7, 14

te gee, en jy moet hom Johannes noem.^a **14** Jy sal vreugdevol wees en groot blydskap hê, en baie sal bly wees oor sy geboorte,^b **15** want hy sal groot wees in Jehovah* se oë.^c Maar hy moet geen wyn of enige ander alkohol drink nie,^d en hy sal met heilige gees gevul word nog voordat hy gebore word,^{*e} **16** en hy sal baie Israeliete help om na Jehovah* hulle God terug te keer.^f **17** Hy sal ook voor Hom uit gaan met Eli'a se gees en krag,^g om die harte van pa's terug te bring na kinders^h en die ongehoorsames terug te bring na die praktiese wysheid van regverdiges, om vir Jehovah* 'n voorbereide volk gereed te maak."ⁱ

18 Sagari'a het vir die engel gesê: "Hoe kan ek hiervan seker wees? Want ek en my vrou is al oud."^j **19** Die engel het hom geantwoord: "Ek is Ga'briël,^j wat in die teenwoordigheid van God staan,^k en ek is gestuur om met jou te praat en om hierdie goeie nuus aan jou bekend te maak. **20** Maar jy sal stil wees en nie kan praat tot op die dag dat hierdie dinge gebeur nie, omdat jy nie my woorde geglo het nie. Tog sal dit op die vasgestelde tyd vervul word."^j **21** Intussen het die volk vir Sagari'a bly wag, en hulle was verbaas omdat hy so lank in die heiligdom gebly het. **22** Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie, en hulle het besef dat hy so pas iets bonatuurliks* in die heiligdom gesien het. Hy het aanhoudend vir hulle beduie, maar hy kon niks sê nie. **23** Toe die dae van sy heilige* diens verby was, het hy huis toe gegaan.

1:15 [#]Of "van sy ma se baarmoeder af". 1:22 *Of "n visioen". 1:23 *Of "openbare".

24 'n Paar dae later het sy vrou Elisabet swanger geword, en sy het haar vyf maande lank afgesonder en gesê: **25** "Dit is wat Jehovah* in hierdie dae vir my gedoen het. Hy het aan my aandag geskenk en my skande onder die mense weggeneem."^a

26 Toe sy ses maande swanger was, het God die engel Gabriël^b na 'n stad van Galilea met die naam Na'saret gestuur, **27** na 'n maagd^c wat verloof was aan 'n man met die naam Josef, uit die huis van Dawid. Die naam van hierdie maagd was Maria.^d **28** Toe die engel inkom, het hy vir haar gesê: "Goediedag, jy wat grootliks deur God geseën is. Jehovah* is met jou." **29** Maar sy was geskok oor wat hy gesê het en het probeer verstaan wat hierdie groet beteken. **30** Toe het die engel vir haar gesê: "Moenie bang wees nie, Maria, want jy het God se goedkeuring. **31** Kyk! Jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun,^e en jy moet hom Jesus noem.^f **32** Hy sal groot wees^g en die Seun van die Allerhoogste genoem word,^h en Jehovah* God sal hom die troon van sy vader Dawid gee,ⁱ **33** en hy sal vir ewig as Koning oor die huis van Jakob regeer, en daar sal geen einde aan sy Koninkryk wees nie."^j

34 Maar Maria het vir die engel gesê: "Hoe sal dit kan gebeur? Want ek het nie seksuele omgang met 'n man nie."^k **35** Die engel het geantwoord en vir haar gesê: "Heilige gees en krag van die Allerhoogste sal oor jou kom.^l Daarom sal die een wat gebore word, heilig wees^m en God se Seunⁿ genoem word. **36** En Elisabet jou familielid het ook swanger geword met 'n seun, op haar ou-

1:25, 28, 32, 38, 45, 46 *Sien Aanh. A.5.

HFST. 1

a Ge 30:22, 23
1Sa 1:10, 11

b Da 8:16
Lu 1:19

c Jes 7:14

d Mt 1:18

e Ga 4:4

f Mt 1:21-23
Lu 2:21

g Flp 2:9-11
1Ti 6:15

h Mt 27:54
Joh 1:49

i 2Sa 7:8, 12
Ps 132:11
Jes 9:7
Jes 11:1, 10
Jer 23:5
Mt 1:1

j Da 2:44
Da 7:13, 14
Heb 1:8

k Jes 7:14
Mt 1:24, 25

l Mt 1:18, 20

m Joh 6:68, 69

n Mt 14:33
Joh 1:32, 34
Joh 20:31

Tweede kol.

a Ge 18:14
Mt 19:26

b 1Sa 2:1

c 2Sa 22:3
Jes 43:3
Hab 3:18
Tit 1:3
Jud 25

d 1Sa 1:10, 11

e Lu 11:27

f Ps 71:19
Ps 111:9

g Ps 103:17

dag. Daar is gedink dat sy onvrugbaar is, maar sy is nou al ses maande swanger, **37** want niks* sal vir God onmoontlik wees nie."^a **38** Toe het Maria gesê: "Kyk! Jehovah* se slavin! Mag alles wat u gesê het, met my gebeur." Toe het die engel van haar af weggegaan.

39 Kort daarna het Maria vertrek en haastig na die bergland gereis, na 'n stad van Juda, **40** en sy het in die huis van Sagaría ingegaan en Elisabet gegroet. **41** Toe Elisabet Maria se groet hoor, het die baba in haar baarmoeder gespring. Elisabet is met heilige gees gevul, **42** en sy het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die kind aan wie jy geboorte sal gee! **43** Hoekom ontvang ek dan hierdie voorreg, dat die ma van my Here na my toe kom? **44** Want toe ek hoor hoe jy my groet, het die baba in my baarmoeder gespring van vreugde. **45** Gelukkig is sy wat geglo het, want al hierdie dinge wat van Jehovah* af aan haar gesê is, sal heeltemal vervul word."

46 En Maria het gesê: "My siel^a loof Jehovah,^{*b} **47** en my gees kan nie anders nie as om oor te loop van vreugde teenoor God, my Redder,^c **48** omdat hy die nederige posisie van sy slavin gesien het.^d Van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem,^e **49** want die Magtige het groot dade vir my gedoen, en heilig is sy naam.^f **50** Hy het van geslag tot geslag genade betoon aan dié wat hom vrees.^g **51** Met sy arm het hy magtige dade gedoen. Hy het die hoogmoediges* uitmekaar-

1:37 *Of "geen verklaring". 1:46 #Of "My hele wese". Sien Woordelys. 1:51 *Of "dié wat hoogmoedige bedoelings in hulle harte het".

gedryf.^a **52** Hy het magtige manne van trone afgestoot^b en dié met 'n nederige posisie belangrik gemaak.^c **53** Hy het dié wat honger is, met goeie dinge versadig,^d en hy het dié wat rykdom gehad het, met leë hande weggestuur. **54** Hy het sy kneg Israel kom help en so bewys dat hy onthou het om genade te betoon^e **55** aan Abraham en sy nageslag,^{af} tot in ewigheid, net soos hy aan ons voorvaders belowe het.” **56** Maria het omtrent drie maande by haar gebly en toe teruggegaan huis toe.

57 Die tyd het gekom vir Elisabet om geboorte te gee, en sy het geboorte gegee aan 'n seun. **58** Die bure en haar familielede het gehoor dat Jehovah* groot genade aan haar betoon het, en hulle was saam met haar bly.^g **59** Op die agtste dag het hulle gekom om die jong kindjie te besny,^h en hulle wou hom vernoem na sy pa, Sagari'a. **60** Maar sy ma het gesê: “Nee! Hy sal Johannes genoem word.” **61** Toe het hulle vir haar gesê: “Nie een van jou familielede het hierdie naam nie.” **62** Toe het hulle sy pa deur middel van gebare gevra wat hy wou hê die kind genoem moet word. **63** Hy het toe vir 'n skryfbordjie gevra en geskryf: “Johannes is sy naam.”ⁱ Dit het hulle almal verbaas. **64** Net daar is sy mond geopen en sy tong losgemaak, en hy het begin praat^j en God geloof. **65** En almal wat in hulle omgewing gewoon het, was verbaas en bang, en mense in die hele bergland van Jude'a het oor al hierdie dinge begin praat. **66** Almal wat dit gehoor het, het in hulle harte begin sê: “Wat sal hierdie jong kindjie word wanneer hy groot

1:55 *Lett. “saad”. 1:58, 66, 68, 76 *Sien Aanh. A5.

HFST. 1

a 2Sa 22:28

b Job 12:19

c 1Sa 2:7

d 1Sa 2:5

Ps 34:10

Ps 107:9

e Ps 98:3

Jes 41:8, 9

f Ge 17:19

Mi 7:20

Ga 3:16

g Lu 1:14

h Ge 17:10, 12

Le 12:2, 3

i Lu 1:13

j Lu 1:20

Tweede kol.

a 1Kn 1:48

Ps 41:13

Ps 72:18

Ps 106:48

b Ps 111:9

Lu 7:16

c 1Sa 2:10

d Ps 132:17

e Jer 23:5

Da 9:24

f Ps 106:10

g Ge 17:7

Le 26:42

Ps 106:45, 46

h Ge 22:15-18

Ps 105:8, 9

Mi 7:20

i Jes 40:3

Mal 3:1

Mt 3:3

j Mr 1:4

k Ps 107:10

Jes 9:2

Mt 4:16

is?” Want die hand van Jehovah* was beslis met hom.

67 Toe is sy pa, Sagari'a, met heilige gees gevul, en hy het geprofeteer en gesê: **68** “Mag Jehovah,* die God van Israel,^a geloof word, want hy het aandag geskenk aan sy volk en vir hulle verlossing gebring.^b **69** Hy het aan ons 'n horing van redding*^c gegee uit die huis van sy kneg Dawid.^d **70** Hy het deur die monde van sy heilige profete van die ou tyd belowe^e **71** dat hy ons sal red van ons vyande en van almal wat ons haat.^f **72** Soos hy ons voorvaders belowe het, sal hy genade aan ons betoon en sy heilige verbond onthou.^g **73** Dit is die eed wat hy aan Abraham, ons voorvader, gesweer het.^h **74** Volgens hierdie eed sal hy ons van vyande red en ons dan die voorreg gee om sonder vrees heilige diens aan hom te verrig, **75** sodat ons ons hele lewe lank lojaal en regverdig voor hom kan wees. **76** Maar jy, jong kindjie, jy sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor Jehovah* uit gaan om sy weg voor te berei.ⁱ **77** Jy sal sy volk vertel dat hulle gered kan word deur vergifnis van hulle sondes,^j **78** as gevolg van die genade wat ons God so liefdevol betoon. Hierdie genade van bo sal wees soos die lig wat teen dagbreek skyn, **79** om lig te gee aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood sit,^k en om ons voete te lei op die weg van vrede.”

80 En die jong kindjie het gegroei en sterk geword in die gees. Hy het in die woestyn gebly tot op die dag dat hy in die openbaar aan Israel verskyn het.

1:69 *Of “'n kragtige redder”. Sien Woordelys, “Horing”.

2 In daardie dae het 'n bevel van keiser Augustus uitgegaan dat die hele bewoonde aarde hulle moet laat registreer. **2** (Hierdie eerste registrasie het plaasgevind toe Quiri'nus goewerneur van Sirië was.) **3** Elkeen het na sy eie stad gegaan om geregistreer te word. **4** Josef^a het natuurlik ook van Galile'a af, uit die stad Na'saret, na Jude'a gegaan, na die stad van Dawid, wat Betlehem^b genoem word, omdat hy 'n lid van Dawid se huis en familie was. **5** Hy het gegaan om geregistreer te word saam met Maria, wat teen daardie tyd met hom getroud was^c en wat binnekort geboorte sou gee.^d **6** Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek vir haar om geboorte te gee. **7** En sy het geboorte gegee aan haar seun, die eersgeborene,^e en sy het hom in doeke toegedraai en hom in 'n krip neergelê,^f want die plek waar die ander besoekers gebly het, was vol.

8 In daardie selfde gebied was daar ook herders wat in die oop veld gebly het en hulle kuddes in die nag opgepas het. **9** Skielik het Jehovah* se engel voor hulle gestaan, en Jehovah* se heerlikheid het om hulle geskyn, en hulle het groot geskrik. **10** Maar die engel het vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie, want ek maak goeie nuus aan julle bekend van groot vreugde wat die hele volk sal hê, **11** want vandag is daar vir julle in die stad van Dawid^g 'n redder gebore,^h wat Christus die Here is.ⁱ **12** Só sal julle hom herken: Julle sal 'n baba vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." **13** Skielik was daar 'n groot hemelse leërmag^j saam met die engel, en hulle het

HFST. 2

a Mt 1:16

b 1Sa 16:1
Mi 5:2
Mt 2:6

c Lu 1:26, 27

d Mt 1:18

e Mt 1:25

f Jes 53:2

g 1Sa 20:6

h Jes 9:6

i Han 2:36
Flp 2:11

j Da 7:10
Op 5:11

Tweede kol.

a Lu 2:51

b Ge 17:10, 12
Le 12:2, 3

c Mt 1:20, 21
Lu 1:30, 31

d Le 12:2, 4

e Eks 13:2, 12
Eks 22:29
Nu 3:13
Nu 8:17

f Le 12:6, 8

God geloof en gesê: **14** "Heerlikheid aan God in die hoogtes daar bo, en vrede op aarde onder mense wat sy goedkeuring geniet."*

15 Toe die engele van hulle af weggegaan het hemel toe, het die herders vir mekaar begin sê: "Kom ons gaan dadelik na Betlehem om te sien wat gebeur het en wat Jehovah* aan ons bekend gemaak het." **16** Hulle het vinnig soontoe gegaan en Maria en Josef gevind, asook die baba wat in die krip lê. **17** Toe hulle dit sien, het hulle alles bekend gemaak wat die engel vir hulle oor die kindjie gesê het. **18** En almal wat dit gehoor het, was verbaas oor wat die herders hulle vertel het, **19** maar Maria het al hierdie woorde begin bewaar terwyl sy in haar hart gevolgtrekkings gemaak het.^a **20** Toe het die herders teruggegaan, en hulle het God geloof en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het, net soos dit aan hulle vertel is.

21 Ná agt dae, toe dit tyd was vir die kindjie om besny te word,^b is hy Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voordat sy ma met hom swanger geword het.^c

22 Toe die tyd gekom het vir hulle om volgens die Wet van Moses gereinig te word,^d het hulle hom na Jerusalem gebring om hom voor Jehovah* aan te bied, **23** net soos daar in Jehovah* se Wet geskryf is: "Elke manlike eersgeborene^e moet heilig vir Jehovah* genoem word."^e **24** En hulle het 'n offerande aangebied volgens wat in die Wet van Jehovah* gesê is: "Twee tortelduiwe of twee jong duiwe."^f

2:14 *Of "mense van welwillendheid".
2:23 #Lett. "Alles wat manlik is en 'n baarmoeder oopmaak".

25 Daar was 'n man met die naam Si'meon in Jerusalem. Hierdie regverdige, toegevyde man het uitgesien na die tyd wanneer Israel vertrous sou word,^a en heilige gees was op hom. 26 God het ook deur die heilige gees aan hom geopenbaar dat hy nie sou sterf voordat hy die Christus van Jehovah* gesien het nie. 27 Hy het toe onder die krag van die gees in die tempel ingekom, en toe Jesus se ouers hulle jong kindjie inbring om vir hom te doen wat deur die Wet vereis is,^b 28 het hy die kindjie in sy arms geneem en God geloof en gesê: 29 "Soewereine Heer, u laat u slaaf nou in vrede gaan^c soos u gesê het, 30 want ek* het u redding gesien^d 31 wat u voor die oë van al die volke voorberei het,^e 32 'n lig^f wat die sluier van die nasies sal verwyder^g en wat u volk Israel sal eer." 33 Die kind se pa en ma was heeltyd verstom oor die dinge wat oor hom gesê word. 34 Si'meon het hulle ook gesê en vir Maria, die kind se ma, gesê: "Kyk! Hierdie kind is aangestel om baie in Israel te laat val^h en weer te laat opstaanⁱ en om 'n teken te wees waarvan daar sleg gepraat sal word,^j 35 sodat die redenasies van baie harte geopenbaar kan word. En dit sal wees asof 'n lang swaard deur jou* gestek word."^k

36 Daar was ook Anna, 'n profetes, die dogter van Fa'nuel, uit die stam van Aser. Hierdie vrou was al oud en het sewe jaar lank saam met haar man gelewe nadat hulle getroud is,* 37 en sy was nou 'n weduwee, 84 jaar oud. Sy was nooit

2:26, 39 *Sien Aanh. A5. 2:30 *Lett. "my oë". 2:35 *Of "jou siel". 2:36 *Lett. "van haar maagdelikheid af".

HFST. 2

a Jes 40:1
Jes 49:13

b Le 12:6, 7

c Ge 46:30

d Jes 52:10
Lu 3:4, 6
Han 4:12

e Jes 40:5

f Jes 9:2
Mt 4:16g Jes 11:10
Jes 42:6
Jes 49:6
Han 13:47
Han 26:23

h Jes 8:14

i 1Kor 1:23, 24

j Han 28:22
1Pe 2:7, 8

k Joh 19:25

Tweede kol.

a Jes 52:9
Mr 15:43
Lu 2:25

b Le 12:6

c Mt 2:23
Lu 1:26

d Lu 2:52

e Eks 23:14, 15
De 16:16

f Eks 34:23

g Ps 119:99
Mt 7:28
Mr 1:22
Joh 7:15

van die tempel afwesig nie en het dag en nag heilige diens verrig deur te vas en smeekbede te doen. 38 Sy het op daardie oomblik nader gekom en God begin dank en met almal wat op Jerusalem se verlossing gewag het, oor die kind begin praat.^a

39 Nadat hulle alles gedoen het wat die Wet van Jehovah* vereis het,^b het hulle teruggegaan na Galile'a, na hulle eie stad, Na'saret.^c 40 En die jong kindjie het gegroei en sterk geword. Hy was vol wysheid en het God se seën bly geniet.^d

41 Sy ouers het die gewoonte gehad om elke jaar Jerusalem toe te gaan vir die Pasgafees.^e 42 En toe hy 12 jaar oud was, het hulle soos gewoonlik na die fees toe gegaan.^f 43 Toe die dae van die fees verby was en hulle teruggekeer het, het die seun Jesus in Jerusalem agtergebly, maar sy ouers het dit nie agtergekom nie. 44 Hulle het aangeneem dat hy in die groep is wat saam gereis het, en toe hulle al 'n dag lank gereis het, het hulle na hom begin soek onder die familielede en die mense wat hulle geken het. 45 Maar toe hulle hom nie kon kry nie, het hulle teruggegaan na Jerusalem en oral na hom gesoek. 46 Wel, ná drie dae het hulle hom in die tempel gevind, en daar het hy tussen die leermeesters gesit, na hulle geluister en hulle vrae gevra. 47 Maar almal wat na hom geluister het, was die hele tyd verbaas oor sy begrip en sy antwoorde.^g 48 En toe sy ouers hom sien, was hulle verstom, en sy ma het vir hom gesê: "Kind, hoekom het jy so met ons gemaak? Ek en jou pa was bekommerd en het oral na jou gesoek." 49 Maar hy het vir hulle gesê: "Hoekom het julle na my

gesoek? Het julle nie geweet dat ek in die huis van my Vader moet wees nie?"^a **50** Hulle het egter nie verstaan wat hy vir hulle gesê het nie.

51 Toe het hy saam met hulle gegaan en in Na'saret gekom, en hy het aan hulle onderdanig* gebly.^b Sy ma het ook al hierdie woorde in haar hart bewaar.^c **52** Jesus het al hoe wyser en groter geword, en hy was geliefd by God en mense.

3 In die 15de regeringsjaar van keiser Tiberius was Pontius Pilatus goewerneur van Jude'a, Herodes*^d was distriksheerser^e van Galile'a, sy broer Filippus was distriksheerser van die land Iture'a en Tragoni'tis, en Lisa'nias was distriksheerser van Abile'ne, **2** en dit was in die tyd van die hoofpriester Ananas en van Ka'jafas.^e En hierdie tyd het Johannes,^f die seun van Sagari'a, 'n boodskap van God in die wildernis^g ontvang.

3 Hy het deur die hele omgewing rondom die Jordaanrivier gegaan en verkondig dat mense hulle moet laat doop as 'n simbool van berou sodat hulle sondes vergewe kan word,^h **4** net soos daar in die boek van die profeet Jesaja geskryf is: "Iemand roep in die wildernis uit: 'Berei die weg van Jehovah* voor! Maak sy paaie reguit.'ⁱ **5** Elke vallei moet opgevuul word, en elke berg en heuwel moet gelykgemaak word. Die draaie moet reguit gemaak word, en die ongelyke plekke gelyk, **6** en alle mense* sal die redding van God sien."^j

7 Hy het vir die groot groep mense wat gekom het om deur

2:51 *Of "gehoorsaam". 3:1 *D.w.s. Herodes Antipas. Sien Woordelys. ^aLett. "die tetrarg". 3:4 *Sien Aanh. A5. 3:6 *Lett. "vlees". ^eOf "sal God se middel tot redding sien".

HFST. 2
a Joh 2:16
b Eks 20:12
De 5:16
Ef 6:1
Kol 3:20
c Lu 2:19

HFST. 3
d Mt 14:1
Lu 23:6,7
e Mt 26:57
Joh 18:13
Joh 18:24
Han 4:5,6

f Joh 1:6
g Lu 1:80
h Mt 3:1,2
Mr 1:4
Lu 1:76,77

i Mt 3:3
Mr 1:3
Joh 1:23
j Jes 40:3-5
Lu 2:30
Han 28:28

Tweede kol.
a Mt 3:7-10
Mt 23:33
b Mt 7:19
c 1Ti 6:18
Jak 2:15,16
1Jo 3:17
d Mt 21:32
Lu 7:29

e Lu 19:8
f Eks 23:1,7
Lu 19:11
g Joh 1:25

hom gedoop te word, begin sê: "Julle spul giftige slange,* wie het julle gewaarsku om vir die komende woede te vlug?"^a **8** Bring dan vrugte voort wat by berou pas. Moenie vir julleself begin sê: 'Ons het Abraham as ons vader' nie. Want ek sê vir julle dat God vir Abraham kinders uit hierdie klippe kan voortbring. **9** Ja, die byl lê reeds by die wortel van die boom. Elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, sal afgekap en in die vuur gegooi word."^b

10 En die mense het vir hom gevra: "Wat moet ons dan doen?" **11** Hy het hulle geantwoord: "Laat die man wat twee stelle klere* het, dit deel met die man wat nie het nie, en laat die een wat iets het om te eet, dieselfde doen."^c **12** Sels belastinggaarders* het gekom om gedoop te word,^d en hulle het vir hom gevra: "Leermeester, wat moet ons doen?" **13** Hy het vir hulle gesê: "Moet niks meer as die vasgestelde tarief vir belasting vereis* nie."^e

14 Dié wat deel was van die leërmag, het hom gevra: "Wat moet ons doen?" Hy het vir hulle gesê: "Moet niemand met geweld dreig* of valslik beskuldig nie,^f maar wees tevrede met wat julle ontvang."^g

15 Die volk was in afwagting, en hulle almal het gewonder* of Johannes nie miskien die Christus is nie.^g **16** Johannes het die antwoord gegee deur vir almal te sê: "Ek doop julle met water, maar die een wat ná my kom, is sterker as ek, en ek is

3:7 *Of "Addergebroedsel". 3:11 *Of "ekstra klere". 3:12 *Persone wat belasting vir die regering invorder. 3:13 *Of "invorder". 3:14 *Of "afpers om geld te kry". ^eOf "met julle loon". 3:15 *Lett. "in hulle harte geredeneer".

nie waardig om die rieme van sy sandale los te maak nie.^a Hy sal julle doop met heilige gees en met vuur.^b **17** Die virk waarmee hy die koring en die kaf skei, is in sy hand om sy dorsvloer heeltemal skoon te maak en om die koring in sy voorraadskuur bymekaar te maak, maar hy sal die kaf verbrand met vuur wat nie geblus kan word nie.”

18 Hy het die mense ook op baie ander maniere aangespoor en aangehou om goeie nuus aan die volk bekend te maak. **19** Maar Johannes het Herodes, die distriksheerser, tereg-gewys oor sy broer se vrou, Hero'dias, en oor al die goddelose daade wat hy gedoen het, en daarom het Herodes **20** nog iets slegs gedoen: Hy het Johannes in die tronk opgesluit.^c

21 Toe al die mense gedoop is, is Jesus ook gedoop.^d Terwyl hy gebid het, het die hemel opgegaan,^e **22** en die heilige gees het in die vorm van 'n duif op hom neergedaal. 'n Stem het ook uit die hemel gekom en gesê: “Jy is my geliefde Seun. Ek het jou goedgekeur.”^f

23 Jesus^g was omtrent 30 jaar oud^h toe hy met sy werk begin het. Die mense het hom geken as Josef,ⁱ

die seun van Heli,
24 die seun van Mattat,
die seun van Levi,
die seun van Melgi,
die seun van Jannai,
die seun van Josef,

25 die seun van Mattat'as,
die seun van Amos,
die seun van Nahum,
die seun van Esli,
die seun van Naggai,

26 die seun van Maät,
die seun van Mattat'as,
die seun van Se'meïn,

HFST. 3

a Joh 1:26, 27

b Mt 3:11, 12

Mr 1:7, 8

Han 2:1, 4

c Mt 14:3-5

Mr 6:17-20

d Mt 3:13

e Mt 3:16

Mr 1:9, 10

f Ps 2:7

Mt 3:17

Mt 17:5

Mr 1:11

Joh 1:32-34

g Mt 1:1-17

h Nu 4:2, 3

i Mt 1:16

Mt 13:55

Lu 4:22

Joh 6:42

Tweede kol.

a Esr 3:2

b 1Kr 3:17

Mt 1:12

c 2Sa 5:13, 14

1Kr 3:5

d 1Sa 16:13

1Sa 17:58

Mt 1:6

e Jes 11:1

f Rut 4:17

g Rut 4:13

h Rut 4:21

i 1Kr 2:11

j Rut 4:12

Rut 4:18, 19

1Kr 2:4, 5

k Ge 29:35

1Kr 2:1

l Ge 25:26

m Ge 21:2, 3

n 1Kr 1:28

o Ge 11:24

Ge 11:26, 27

p Ge 11:22

q Ge 11:20

r Ge 11:18

s Ge 11:16

t Ge 11:14

1Kr 1:25

u Ge 11:12

v Ge 11:10

die seun van Joseg,
die seun van Joda,
27 die seun van Jo'anani,
die seun van Resa,
die seun van Serubba'bel,^a
die seun van Seal'tiël,^b
die seun van Neri,

28 die seun van Melgi,
die seun van Addi,
die seun van Kosam,
die seun van Elma'dam,
die seun van Er,

29 die seun van Jesus,
die seun van Eliëser,
die seun van Jorim,
die seun van Mattat,
die seun van Levi,

30 die seun van Si'meon,
die seun van Judas,
die seun van Josef,
die seun van Jonam,
die seun van Elja'kim,

31 die seun van Mele'a,
die seun van Menna,
die seun van Mat'tata,
die seun van Natan,^c
die seun van Dawid,^d

32 die seun van Isai,^e
die seun van Obed,^f
die seun van Boas,^g
die seun van Salmon,^h
die seun van Nagson,ⁱ

33 die seun van Ammina'dab,
die seun van Arni,
die seun van Hesron,
die seun van Peres,^j
die seun van Juda,^k

34 die seun van Jakob,^l
die seun van Isak,^m
die seun van Abraham,ⁿ
die seun van Tera,^o
die seun van Nahor,^p

35 die seun van Serug,^q
die seun van Rehu,^r
die seun van Peleg,^s
die seun van Eber,^t
die seun van Selag,^u

36 die seun van Kainan,
die seun van Arpag'sad,^v

die seun van Sem,^a
 die seun van Noag,^b
 die seun van Lameg,^c
37 die seun van Metu'salag,^d
 die seun van Henog,
 die seun van Jared,^e
 die seun van Mahala'leël,^f
 die seun van Kainan,^g
38 die seun van Enos,^h
 die seun van Set,ⁱ
 die seun van Adam,^j
 die seun van God.

4 Toe het Jesus vol heilige gees van die Jordaanrivier af weggegaan, en hy is deur die gees in die wildernis rondgelei.^k **2** 40 dae lank, terwyl hy deur die Duiwel versoek is.^l En hy het in daardie tyd niks geëet nie, en daarom was hy honger toe die 40 dae verby was. **3** Toe het die Duiwel vir hom gesê: "As jy 'n seun van God is, sê vir hierdie klip om 'n brood te word." **4** Maar Jesus het hom geantwoord: "Daar staan geskryf: 'Die mens moenie van brood alleen lewe nie.'"^m

5 Toe het hy hom tot op 'n berg gebring en in 'n oomblik vir hom al die koninkryke van die bewoonde aarde gewys.ⁿ **6** Daarna het die Duiwel vir hom gesê: "Ek sal al hierdie gesag en hulle prag en rykdom vir jou gee, want dit is aan my gegee,^o en ek gee dit aan wie ek wil. **7** As jy my een keer aanbid, sal dit alles joune wees." **8** Jesus het vir hom gesê: "Daar staan geskryf: 'Jy moet Jehovah* jou God aanbid en hom alleen dien.'"^p

9 Hy het hom in Jerusalem ingelei en hom op die muur* van die tempel laat staan en vir hom gesê: "As jy 'n seun van God is,

4:8, 12, 18, 19 *Sien Aanh. A5. **4:8** ^aOf "aan hom alleen heilige diens ver-rig". **4:9** *Of "hoogste punt".

HFST. 3
 a Ge 5:32
 b Ge 5:29
 c Ge 5:25
 d Ge 5:21
 e Ge 5:19
 f Ge 5:12, 16
 g Ge 5:9
 1Kr 1:2
 h Ge 4:26
 Ge 5:10
 i Ge 5:7
 j Ge 5:1, 4
 1Kr 1:1

HFST. 4
 k Mt 4:1-4
 Mr 1:12, 13
 l Heb 2:18
 m De 8:3
 n Mt 4:8-10
 o Joh 12:31
 Joh 14:30
 Ef 2:2
 p Eks 20:3
 De 6:13
 De 10:20

Tweede kol.
 a Mt 4:5-7
 b Ps 91:11, 12
 c De 6:16
 1Kor 10:9
 d Mt 4:11
 Heb 4:15
 e Mt 4:12
 Joh 4:3
 f Mt 2:23
 g Han 17:1, 2
 h Mt 12:20
 i Jes 61:1, 2
 j Mt 5:17

spring hier af,^a **10** want daar staan geskryf: 'Hy sal sy engele beveel om jou te beskerm', **11** en: 'Hulle sal jou op hulle hande dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip stamp nie.'"^b **12** Jesus het hom geantwoord: "Daar is gesê: 'Jy mag Jehovah* jou God nie toets nie.'"^c **13** Toe die Duiwel hom klaar versoek het, het hy van hom af weggegaan tot 'n ander geskikte tyd.^d

14 En Jesus het vol krag van die gees na Galile'a teruggekeer.^e Die nuus oor die goeie dinge wat hy gedoen het, het deur die hele omliggende gebied versprei. **15** Hy het ook mense in hulle sinagoges begin leer, en almal het goeie dinge van hom gesê.

16 Hy het toe na Na'saret^f gegaan, waar hy grootgeword het, en volgens sy gewoonte op die Sabbatdag het hy in die sinagoge^g ingegaan en opgestaan om te lees. **17** Toe is die boekrol van die profeet Jesaja vir hom aangegee, en hy het die boekrol ooggemaak en die plek gevind waar dit geskryf staan: **18** "Jehovah* se gees is op my, want hy het my gesalf om goeie nuus aan die armes te verkondig. Hy het my gestuur om aan die gevangenes bekend te maak dat hulle vrygelaat sal word, en aan die blindes dat hulle weer sal sien, om vryheid te gee aan die onderdrukte,^h **19** om Jehovah* se jaar van aanvaarding te verkondig."ⁱ **20** Hierna het hy die boekrol opgerol, dit aan die dienaar teruggegee en gaan sit, en almal in die sinagoge het stip na hom gekyk. **21** Toe het hy vir hulle begin sê: "Vandag is hierdie Skrifgedeelte wat julle so pas gehoor het, vervul."^j

22 En hulle almal het goeie dinge oor hom begin sê, en hul-

le was verstom oor die aangename woorde wat uit sy mond gekom het,^a en hulle het gevra: "Is hy dan nie 'n seun van Josef nie?"^b **23** Toe het hy vir hulle gesê: "Julle sal beslis hierdie spreekwoord op my toepas: 'Dokter, genees jousef. Doen ook hier in jou tuisgebied die dinge wat ons gehoor het in Kaper'naum^c gedoen is.'" **24** Toe het hy gesê: "Ek sê vir julle dat geen profeet in sy tuisgebied aanvaar word nie."^d **25** Ek vertel julle die waarheid: Daar was baie weduwees in Israel in Eli'a se tyd, toe die hemel drie jaar en ses maande lank toegesluit was en 'n groot hongersnood oor die hele land gekom het.^e **26** Tog is Eli'a nie na een van daardie vrouens toe gestuur nie, maar net na 'n weduwee in Sarfat in die land Sidon.^f **27** Daar was ook baie melaatesses in Israel in die tyd van die profeet Eli'sa. Tog is nie een van hulle genees* nie, net Naäman, die Siriër."^g **28** En almal wat hierdie dinge in die sinagoge gehoor het, het woedend geword,^h **29** en hulle het opgestaan en hom haastig tot buite die stad geneem, tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was. Hulle wou hom kop eerste daar afgooi. **30** Maar hy het tussen hulle deur geloep en verder gegaan.ⁱ **31** Toe het hy na Kaper'naum gegaan, 'n stad van Galile'a. Hy het die mense op die Sabbat geleer,^j **32** en hulle was verstom oor die manier waarop hy geleer het,^k want hy het met gesag gepraat. **33** In die sinagoge was daar 'n man met 'n gees, 'n onrein demoon, en hy het met 'n harde stem geskree:^l **34** "Ha! Wat het ons met jou te doen, Jesus die Na-

4:27 *Of "gereinig".

HFST. 4

a Ps 45:2
Jes 50:4

b Mt 13:54
Mr 6:2
Joh 6:42

c Mt 4:13

d Mt 13:57
Mr 6:4
Joh 4:44

e 1Kn 18:1

f 1Kn 17:9, 10

g 2Kn 5:1, 14

h Lu 2:34

i Joh 8:59
Joh 10:39

j Mr 1:21, 22

k Mt 7:28
Joh 7:46

l Mr 1:23-28

Tweede kol.

a Mt 2:23

b Mt 8:29
Lu 4:41
Lu 8:28
Jak 2:19

c Mt 8:14, 15
Mr 1:29-31

d Mt 8:16, 17
Mr 1:32-34

e Mt 8:28, 29
Mr 3:11

f Han 16:17, 18

g Mr 1:23-25
Mr 3:11, 12
Lu 4:33-35

h Mr 1:35-38

sarener?^a Het jy gekom om ons te vernietig? Ek weet presies wie jy is: die Heilige van God."^b

35 Maar Jesus het streng met hom gepraat en gesê: "Bly stil, en kom uit hom uit." Nadat die demoon die man tussen hulle neergegooi het, het hy uit hom uitgekom sonder om hom seer te maak. **36** Toe hulle dit sien, was hulle almal verbaas en het hulle vir mekaar begin sê: "Luis-ter net na sy woorde, want hy beveel die onrein geeste met gesag en mag, en hulle kom uit!" **37** En die nuus oor hom het na elke uithoek van die omliggende gebied bly versprei.

38 Nadat hy die sinagoge verlaat het, het hy in Simon se huis ingegaan. En Simon se skoonma het gely as gevolg van 'n hoë koors, en hulle het hom gevra om haar te help.^c **39** Hy het oor haar gebuk en die koors bestraf, en dit het verdwyn. Sy het onmiddellik opgestaan en hulle begin bedien.

40 Maar toe die son sak, het die mense al die siekes wat in hulle huise was, na hom toe gebring, ongeag aan watter kwale hulle gely het. Hy het sy hande op elkeen van hulle gelê en hulle genees.^d **41** Demone het ook uit baie mense uitgekom, en hulle het geskree en gesê: "Jy is die Seun van God."^e Maar hy het streng met hulle gepraat en hulle nie toegelaat om enigiets te sê nie,^f want hulle het geweet dat hy die Christus is.^g

42 Maar toe dit dag word, het hy vertrek en na 'n afgeleë plek gegaan.^h Die skare het egter na hom begin soek en hom gevind, en hulle het probeer keer dat hy van hulle af weggaan. **43** Maar hy het vir hulle gesê: "Ek moet die goeie nuus van die Koninkryk van God ook aan ander stede bekend maak,

want dit is waarvoor ek gestuur is.”^a **44** Toe het hy voortgegaan om in die sinagoges van Jude^a te preek.

5 By een geleentheid het hy by die Meer van Genne’saret^{*b} gestaan terwyl die skare van alle kante af teen hom gedruk het en na die woord van God geluister het. **2** En hy het twee bote aan die oewer van die meer sien lê, maar die vissermanne het reeds uit die bote geklim en was besig om hulle nette af te was.^c **3** Hy het in een van die bote geklim, Simon s’n, en hom gevra om ’n entjie van die land af weg te vaar. Toe het hy gaan sit en die skare van die boot af begin leer. **4** Toe hy ophou praat, het hy vir Simon gesê: “Gaan na waar dit diep is en laat sak julle nette vir ’n vangs.” **5** Maar Simon het geantwoord: “Onderrigter, ons het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie,^d maar as u so sê, sal ek die nette laat sak.” **6** Toe hulle dit doen, het hulle soveel vis gevang^e dat hulle nette begin skeur het.^e **7** Toe het hulle vir die mans in die ander boot beduie om hulle te kom help, en hulle het gekom en al twee bote so vol gemaak dat dit amper gesink het. **8** Toe Simon Petrus dit sien, het hy op sy knieë voor Jesus neergeval en gesê: “Gaan weg van my af, Here, want ek is ’n sondige man.” **9** Want hy en almal wat by hom was, was baie verbaas omdat hulle soveel vis gevang het. **10** Jakobus en Johannes, Sebede’us se seuns,^f wat saam met Simon gewerk het, was ewe verbaas hieroor. Maar Jesus het vir Simon gesê: “Hou op om bang te wees. Van nou af sal jy mense lewend vang.”^g **11** Toe

5:1 *D.w.s. die See van Galilea. 5:6 *Lett. “omsluit”.

HFST. 4

a Mt 4:23
Lu 8:1

HFST. 5

b Mt 4:18
Mr 1:16

c Mt 4:21

d Joh 21:3

e Joh 21:6

f Mt 4:21
Mr 1:19

g Mt 4:19
Mr 1:17

Tweede kol.

a Mt 4:20
Mt 6:33
Mt 19:27
Mr 1:20
Lu 18:28
Flp 3:8

b Mt 8:2
Mr 1:40-45

c Mt 8:3
Mr 1:41

d Le 14:2-4
Le 14:10, 20

e Mt 8:4

f Mt 4:24, 25
Mr 3:7, 8
Joh 6:2

g Mr 2:1, 2

h Mt 9:2
Mr 2:3-12

het hulle die bote teruggebring land toe en alles agtergelaat en hom gevolg.^a

12 Terwyl hy by ’n ander geleentheid in een van die stede was, was daar ’n man vol melaatsheid. Toe hy Jesus sien, het hy met sy gesig na die grond toe neergeval en hom gesmeek: “Here, as u net wil, kan u my gesond* maak.”^b **13** En hy het sy hand uitgesteek en aan hom geraak en gesê: “Ek wil! Word gesond.”^c Die melaatsheid het onmiddellik verdwyn.^c **14** Toe het hy die man beveel om niemand hiervan te vertel nie. Maar hy het gesê: “Gaan wys jou vir die priester en bring ’n offer vir jou reiniging, net soos Moses voorgeskryf het.”^d Dit sal as ’n getuienis vir hulle dien.”^e **15** Die nuus oor hom het egter bly versprei, en groot groepe mense het bymekaar gekom om te luister en van hulle siektes genees te word.^f **16** Tog het hy dikwels na verlate plekke gegaan om te bid.

17 Op een van daardie dae, terwyl hy besig was om mense te leer, het Fariseërs en leermeesters van die Wet wat uit elke dorpie van Galile’a en Jude’a en Jerusalem gekom het, daar gesit, en omdat Jehovah* se krag met hom was, kon hy mense gesond maak.^g **18** En mense het ’n verlamde man op ’n draagbed gedra, en hulle het probeer om hom in te bring en hom voor Jesus neer te sit.^h **19** Toe hulle as gevolg van die skare nie ’n manier kon vind om hom in te bring nie, het hulle op die dak geklim, en hulle het hom op die bed deur die teëldak laat sak, tot tussen die mense wat voor Jesus was. **20** Toe hy

5:12 *Of “rein”. 5:13 *Of “gereinig”. 5:17 *Sien Aanh. A5.

hulle sterk geloof sien, het hy gesê: "Vriend, jou sondes is vergewe."^a **21** Toe het die skrifgeleerdes en die Fariseërs begin redeneer en gevra: "Wie is dit wat so laster? Wie kan sondes vergewe, behalwe God alleen?"^b

22 Maar omdat Jesus geweet het wat hulle dink, het hy hulle geantwoord: "Hoekom dink julle hierdie dinge?" **23** Wat is makliker? Om te sê: 'Jou sondes is vergewe,' of om te sê: 'Staan op en loop?' **24** Maar om julle te laat besef dat die Seun van die mens gesag op die aarde het om sondes te vergewe . . ." Hy het toe vir die verlamde man gesê: "Ek sê vir jou: Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe."^c **25** Toe het hy voor hulle opgestaan, die bed opgetel waarop hy gelê het en na sy huis toe gegaan terwyl hy God geloof het. **26** Almal was stom van verbasing, en hulle het God begin loof, en hulle is met ont-sag vervul en het gesê: "Ons het vandag wonderlike dinge gesien!"

27 Daarna het hy uitgegaan en 'n belastinggaarder* met die naam Levi by die belastingkantoor sien sit, en hy het vir hom gesê: "Word my volgelings."^d

28 En hy het alles net so gelos en opgestaan en hom begin volg. **29** Toe het Levi 'n groot ete vir hom in sy huis gehou, en daar was 'n groot groep belastinggaarders en ander wat saam met hulle geëet het.^e **30** Die Fariseërs en hulle skrifgeleerdes het by sy dissipels begin kla en gevra: "Hoekom eet en drink julle saam met belastinggaarders en sondaars?"^f **31** Jesus het geantwoord en vir hulle ge-

5:22 *Lett. "Wat redeneer julle in julle harte?" 5:27 *Iemand wat belasting vir die regering invorder. 5:29 *Of "aan tafel was".

HFST. 5

a Mt 9:2-8

b Ps 103:2, 3
Ps 130:3, 4
Jes 43:25

c Joh 5:6-9

d Mt 9:9
Mr 2:14e Mt 9:10-13
Mr 2:15-17

f Lu 15:1, 2

Tweede kol.

a Jes 53:4
Mt 9:12
Mr 2:17b Mt 9:13
1Ti 1:15c Mt 9:14, 15
Mr 2:18-20
Lu 7:34d Mt 22:2
2Kor 11:2
Op 19:7

e Joh 16:19, 20

f Mt 9:16, 17
Mr 2:21, 22

HFST. 6

g De 23:25

h Mt 12:1-8
Mr 2:23-28i Eks 20:9, 10
De 5:13, 14
Joh 5:9, 10

sê: "Mense wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar mense wat siek is, het wel."^a **32** Ek het nie gekom om regverdige mense tot berou te roep nie, maar sondaars."^b

33 Hulle het vir hom gesê: "Johannes se dissipels vas dikwels en doen smeekgebode, en die dissipels van die Fariseërs doen dit ook, maar u dissipels eet en drink."^c **34** Jesus het vir hulle gesê: "Julle kan tog nie die vriende van die bruidegom laat vas terwyl die bruidegom by hulle is nie, of hoe?" **35** Maar die dae sal kom wanneer die bruidegom^d wel van hulle af weggeneem sal word. Dan sal hulle in daardie dae vas."^e

36 Hy het ook vir hulle 'n illustrasie vertel: "Niemand sny 'n stuk materiaal uit 'n nuwe bogleed en werk dit op 'n ou bogleed vas nie. As hy dit doen, sal die nuwe stuk van die ou stuk wegskeur en sal die stuk van die nuwe kleed nie by die ou pas nie."^f **37** Ook gooi niemand nuwe wyn in ou wysakke nie. As hy dit doen, sal die nuwe wyn die wysakke laat bars, en dit sal uitloop, en dan is die wysakke stukkend. **38** Maar nuwe wyn moet in nuwe wysakke gegooi word. **39** Niemand wat ou wyn gedrink het, wil nuwe wyn hê nie, want hy sê: "Die oue is lekker."^g

6 Op 'n sabbat het hy deur graanlande geloop, en sy dissipels het die graanare gepluk^g en dit met hulle hande uitgevryf^h en geëet. **2** Toe het party van die Fariseërs gevra: "Hoekom doen julle iets wat 'n mens nie op die Sabbat mag doen nie?"ⁱ **3** Maar Jesus het hulle geantwoord: "Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en die manne by hom

honger was nie?^a **4** Hy het in die huis van God ingegaan en die offerbrode* ontvang en ge-eet, en hy het vir die manne by hom daarvan gegee, al was net die priesters toegelaat om daarvan te eet.”^b **5** Toe het hy vir hulle gesê: “Die Seun van die mens is Here van die Sabbat.”^c

6 Op 'n ander sabbat^d het hy in die sinagoge ingegaan en die mense begin leer. En daar was 'n man met 'n misvormde* regterhand.^e **7** Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het Jesus toe fyn dopgehou om te sien of hy iemand op die Sabbat sou genees, want hulle wou iets vind waarvan hulle hom kon beskuldig. **8** Maar hy het geweet hoe hulle redeneer,^f en daarom het hy vir die man met die misvormde* hand gesê: “Staan op en gaan staan in die middel.” En hy het dit gedoen. **9** Toe het Jesus vir hulle gesê: “Ek vra julle: Mag 'n mens op die Sabbat iets goeds of iets slegs doen, iemand se lewe* red of hom doodmaak?”^g **10** Nadat hy na hulle almal gekyk het, het hy vir die man gesê: “Steek jou hand uit.” Hy het dit gedoen, en sy hand het gesond geword. **11** Maar hulle het woedend geword, en hulle het onder mekaar begin bespreek wat hulle aan Jesus kon doen.

12 Op een van hierdie dae het hy na die berg toe gegaan om te bid,^h en hy het die hele nag lank tot God gebid.ⁱ **13** En toe dit dag word, het hy sy dissipels na hom toe geroep en 12 van hulle uitgekies, wat hy ook apostels genoem het.^j **14** Simon, wat hy ook Petrus genoem het, sy broer Andre'as, Jakobus, Johannes, Filippus,^k

6:4 *Of “die aanbiedingsbrode”. 6:6, 8 *Of “verlamde”. 6:9 *Of “siel”.

- HFST. 6
- a 1Sa 21:1-6
- b Le 24:5-9
- c Mt 12:8
Mr 2:27, 28
- d Lu 13:14
Joh 9:16
- e Mt 12:9-14
Mr 3:1-6
- f Lu 5:22
Joh 2:24, 25
- g Mt 12:11
Mr 3:4
Joh 7:23
- h Mt 6:6
Mr 3:13
- i Mt 14:23
- j Mt 10:2-4
Mr 3:14-19
Han 1:13
- k Joh 14:8

Tweede kol.

- a Joh 11:16
- b Mr 5:30
- c Mt 5:2, 3
Jak 2:5
- d Ps 107:9
Jes 55:1
Jer 31:25
Mt 5:6
- e Jes 61:3
Op 21:4
- f Mt 5:10, 11
Joh 17:14
1Pe 3:14
- g Joh 16:2
- h 2Kr 36:16
Mt 5:12
Lu 11:47
Han 7:52
- i Jak 5:1
- j Mt 6:2

Bartolome'us, **15** Matte'us, Tomas,^a Jakobus, die seun van Alfe'us, en Simon, wat “die ywerige” genoem word, **16** Judas, die seun van Jakobus, en Judas Iska'riot, wat 'n verraaiër geword het.

17 Hy het saam met hulle afgekom en op 'n gelyke plek gestaan, en daar was 'n groot skare van sy dissipels en 'n groot menigte mense uit die hele Jude'a en Jerusalem en die kusgebied van Tirus en Sidon. Hulle het gekom om na hom te luister en om van hulle siektes genees te word. **18** Selfs dié wat deur onrein geeste geteister is, is genees. **19** Die hele skare het aan hom probeer raak, want krag het uit hom uitgegaan^b en hulle almal gesond gemaak.

20 Hy het na sy dissipels gekyk en begin sê:

“Gelukkig is julle wat arm is, want die Koninkryk van God behoort aan julle.”^c

21 “Gelukkig is julle wat nou honger is, want julle sal versadig word.”^d

“Gelukkig is julle wat nou huil, want julle sal lag.”^e

22 “Gelukkig is julle wanneer mense julle haat,^f en wanneer hulle julle verstoot^g en julle beledig en julle naam deur die modder sleep* ter wille van die Seun van die mens. **23** Wees bly op daardie dag en spring van vreugde, want julle beloning is groot in die hemel. Hulle voorvaders het presies dieselfde dinge aan die profete gedoen.”^h

24 “Maar dit sal sleg gaan met julle wat ryk is,ⁱ want julle ontvang reeds julle volle vertroosting.”^j

25 “Dit sal sleg gaan met julle wat nou vol is, want julle sal honger ly.

6:22 *Of “en julle naam uitwerp”.

“Dit sal sleg gaan met julle wat nou lag, want julle sal treur en huil.^a

26 “Dit sal sleg gaan met julle wanneer al die mense goed van julle praat,^b want dit is hoe hulle voorvaders die valse profete behandel het.

27 “Maar ek sê vir julle wat luister: Hou aan om julle vyande lief te hê, om goed te doen aan die mense wat julle haat,^c **28** om die mense te seën wat julle vervloek, om te bid vir die mense wat julle beledig.^d **29** As iemand jou op die een wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied, en as iemand jou bo-kleed vat, moet jy ook nie weier om die onderkleeed te gee nie.^e **30** Gee aan elkeen wat iets van jou vra,^f en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugvra nie.

31 “Net soos julle wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.^g

32 “As julle die mense liefhet wat vir julle lief is, verdien julle om daarvoor geprys te word? Want selfs die sondaars het die mense lief wat vir hulle lief is.^h

33 En as julle goed doen aan die mense wat aan julle goed doen, verdien julle om daarvoor geprys te word? Selfs die sondaars doen dit. **34** En as julle leen* aan die mense van wie julle terugbetaling verwag, verdien julle om daarvoor geprys te word?ⁱ Selfs sondaars leen aan sondaars sodat hulle net soveel kan terugkry. **35** Hou egter aan om julle vyande lief te hê en om goed te doen en om uit te leen sonder om te hoop om iets terug te kry,^j en julle beloning sal groot wees, en julle sal kinders van die Allerhoogste wees, want hy is goed

6:34 *D.w.s. sonder rente.

HFST. 6

a Jes 65:13

b Jak 4:4
1Jo 4:5

c Eks 23:4
Spr 25:21
Mt 5:44
Ro 12:20

d Han 7:59, 60
Ro 12:14

e Mt 5:39, 40
1Kor 6:7

f De 15:7, 8
Spr 3:27
Spr 21:26
Mt 5:42

g Mt 7:12

h Mt 5:46, 47

i Le 25:35, 36
De 15:7, 8
Mt 5:42

j Eks 22:25
Le 25:37
De 23:20
Ps 37:25, 26

Tweede kol.

a Mt 5:45
Han 14:17

b Mt 5:48
Ef 5:1, 2
Jak 2:13

c Mt 7:1, 2
Ro 14:10

d Mt 6:14
Mr 11:25

e Spr 19:17

f Mt 15:14

g Mt 7:3-5

h Mt 7:16-18

i Mt 12:33

vir die ondankbares en goddeloses.^a **36** Hou aan om genadig te wees, net soos julle Vader genadig is.^b

37 “Hou ook op om te oordeel, en julle sal beslis nie geoordeel word nie,^c en hou op om te veroordeel, en julle sal beslis nie veroordeel word nie. Hou aan om te vergewe,^{*} en julle sal vergewe[#] word.^d **38** Hou aan om te gee, en mense sal vir julle gee.^e Hulle sal 'n goeie hoeveelheid in julle skoot uitgooi, wat ingestamp en geskud is, maar dit sal nog steeds oorloop. Want met die maathouer waarmee julle uitmeet, sal hulle weer vir julle uitmeet.”

39 Toe het hy ook vir hulle 'n illustrasie vertel: “'n Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie, of hoe? Al twee sal in 'n gat val, nie waar nie?^f **40** 'n Student* is nie bo sy leermeester nie, maar elkeen wat volmaak onderrig is, sal soos sy leermeester wees. **41** Hoekom kyk jy dan na die splinter in jou broer se oog, maar jy sien nie die balk in jou eie oog nie?^g **42** Hoe kan jy vir jou broer sê: ‘My broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal,’ terwyl jy self nie die balk sien wat in jou eie oog is nie? Jou skynheilige! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, en dan sal jy duidelik kan sien hoe om die splinter wat in jou broer se oog is, uit te haal.

43 “Want 'n goeie boom bring nie slegte vrugte voort nie, en 'n slegte boom bring nie goeie vrugte voort nie.^h

44 Want elke boom word aan sy eie vrugte geken.ⁱ Mense pluk byvoorbeeld nie vye van doringe nie, en hulle sny ook nie druiwe van 'n doringbos af nie. **45** 'n Goeie mens bring

6:37 *Of “vry te laat”. [#]Of “vryge-laat”. 6:40 *Of “Dissipel”.

goeie dinge uit die goeie skat van sy hart, maar 'n goddelose mens bring goddelose dinge uit sy goddelose skat, want uit die oorvloed van die hart praat die mond.^a

46 "Hoekom noem julle my dan 'Here! Here!' maar julle doen nie wat ek sê nie?"^b **47** Ek sal vir julle sê soos wie die persoon is wat na my toe kom en my woorde hoor en dit doen:^c **48** Hy is soos 'n man wat, terwyl hy 'n huis gebou het, gegrave en diep afgegaan het en 'n fondament op die rots gelê het. En toe daar 'n vloed kom, het die rivier teen daardie huis geslaan, maar dit het stewig bly staan, want die huis was goed gebou.^d **49** Aan die ander kant is die persoon wat hoor en niks doen nie,^e soos 'n man wat 'n huis op die grond gebou het sonder om 'n fondament te lê. Die rivier het daarteen geslaan en dit het onmiddellik ineengestort, en daardie huis is heeltemal verwoes."

7 Toe hy dit alles vir die volk gesê het, het hy in Kaper'naum ingegaan. **2** 'n Sekere militêre offisier het 'n slaaf gehad wat vir hom baie beteken het, maar die slaaf was ernstig siek en het op sterwe gelê.^f **3** Toe die offisier van Jesus hoor, het hy 'n paar ouermanne van die Jode na hom toe gestuur om vir hom te vra om sy slaaf te kom genees. **4** Hulle het na Jesus toe gekom en hom ernstig begin smeek en gesê: "Hy verdien u hulp, **5** want hy is lief vir ons nasie en hy het ons sinagoge gebou." **6** Jesus het toe saam met hulle gegaan. Maar toe hy naby die huis was, het die militêre offisier reeds vriende gestuur om vir hom te sê: "Meneer, moenie moeite doen nie, want ek ver-

- HFST. 6
- a Mt 12:34, 35
- b Mt 7:21
Lu 13:24
Ro 2:13
Jak 1:22
- c Mt 7:24-27
- d Ps 125:1
- e Jak 1:23, 24
- HFST. 7
- f Mt 8:5, 6
- Tweede kol.
- a Mt 8:8, 9
- b Mt 8:10
- c Mt 8:13
- d 1Kn 17:17
Lu 8:41, 42
- e Heb 4:15
- f Lu 8:52
Joh 11:33
- g 1Kn 17:21, 22
Lu 8:52-54
Joh 11:43
Han 9:40
- h 1Kn 17:23
2Kn 4:36
- i De 18:15
Joh 4:19
Joh 6:14
Joh 7:40
- j Lu 1:68

dien nie dat u onder my dak inkom nie."^a **7** Daarom dink ek nie dat ek waardig is om na u toe te kom nie. Maar sê die woord en laat my kneg gesond word. **8** Want ek is ook 'n man wat onder die gesag van iemand anders geplaas is, en ek het soldate onder my, en ek sê vir die een: 'Gaan!' en hy gaan, en vir 'n ander een: 'Kom!' en hy kom, en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit." **9** Toe Jesus hierdie dinge hoor, was hy verbaas, en hy het omgedraai en vir die skare wat hom gevolg het, gesê: "Ek sê vir julle: Ek het nie eers in Israel sulke groot geloof gevind nie."^b **10** En toe dié wat gestuur is, weer by die huis kom, het hulle gesien dat die slaaf gesond is.^c

11 Kort daarna het hy na 'n stad gereis wat Nain genoem word, en sy dissipels en 'n groot skare het saam met hom gereis. **12** Toe hy naby die poort van die stad kom, kyk! toe word daar 'n dooie man uitgedra, die enigste seun van sy ma.^d Sy was boonop 'n weduwee. Daar was ook 'n groot groep mense van die stad by haar. **13** Toe die Here haar sien, het hy baie jammer vir haar gevoel,^e en hy het vir haar gesê: "Hou op huil."^f **14** Hy het toe nader gegaan en aan die draagbaar geraak, en die draers het gaan staan. Hy het gesê: "Jong man, ek sê vir jou: Staan op!"^g **15** En die dooie man het regop gesit en begin praat, en Jesus het hom aan sy ma gegee.^h **16** Hulle almal was verbaas, en hulle het God begin loof en gesê: "'n Groot profeet het onder ons verskyn,"ⁱ en: "God het aandag aan sy volk geskenk."^j **17** En die nuus oor hom het deur die hele Jude'a en die hele omliggende gebied versprei.

18 Johannes se dissipels het hom al hierdie dinge vertel.^a

19 Toe het Johannes twee van sy dissipels geroep en hulle na die Here toe gestuur om te vra: "Is u die Een^b wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?" 20 Toe hulle by hom kom, het die mans gesê: "Johannes die Doper het ons na u toe gestuur om te vra: 'Is u die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?'"

21 In daardie uur het hy baie mense genees van siektes,^c ernstige kwale en bose geeste, en hy het baie blindes laat sien.

22 Hy het vir hulle gesê: "Gaan sê vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: Die blindes kan nou sien,^d die kreupeles loop, die melaatses word genees,^e die dowes hoor,^e die dooies word opgewek en die armes word van die goeie nuus vertel.^f 23 Gelukkig is die een wat geen rede vind om te struikel as gevolg van my nie."^g

24 Toe Johannes se boodskappers daar weg is, het Jesus met die skare oor Johannes begin praat en gesê: "Waarna wou julle in die wildernis gaan kyk? 'n Riet wat deur die wind heen en weer gewaai word?^h 25 Waarna wou julle gaan kyk? 'n Man wat sagte* klere dra? Dié wat pragtige klere dra en in weelde lewe, is in paleise.^h 26 Waarna wou julle dan nou eintlik gaan kyk? 'n Profeet? Ja, sê ek vir julle, en baie meer as 'n profeet.^j 27 Dit is die een oor wie daar geskryf is: 'Kyk! Ek stuur my boodskapper voor jou uit, wat jou weg vir jou sal voorberei.'^k 28 Ek sê vir julle: Van almal wat al gebore is, is daar niemand groter as Johannes nie. Tog is

7:22 *Lett. "gereinig". 7:25 *Of "die beste". ^aLett. "koninklike huise".

HFST. 7

a Mt 11:2-6

b Ps 40:7
Ps 118:26
Sag 9:9
Mt 3:11

c Jes 53:4

d Jes 42:7

e Jes 29:18
Jes 35:5, 6

f Jes 61:1
Lu 4:18
Jak 2:5

g Jes 8:14
Lu 2:34
Joh 6:66

h Mt 11:7-11

i Mr 1:6

j Mr 1:2
Lu 1:67, 76

k Jes 40:3
Mal 3:1
Lu 1:16, 17
Joh 1:23

Tweede kol.

a Mt 11:11

b Mt 3:5, 6
Lu 3:12

c Han 13:46
Ro 10:2, 3

d Mt 11:16-19

e Nu 6:2, 3
Mt 3:4
Lu 1:13, 15

f Mt 11:19
Lu 5:30

g Joh 10:37, 38

h Mt 26:6, 7
Mr 14:3
Joh 12:3

die persoon wat die kleinste in die Koninkryk van God is, groter as hy."^a 29 (Toe al die mense en die belastingvaarders* dit hoor, het hulle erken dat God regverdig is, want hulle is met die doop van Johannes gedoopt.^b 30 Maar die Fariseërs en dié wat die Wet goed geken het, het die raad* verwerp wat God vir hulle gegee het,^c aangesien hulle nie deur Johannes gedoopt is nie.)

31 "Met wie sal ek dan die mense van hierdie geslag vergelyk, en soos wie is hulle?"^d

32 Hulle is soos jong kinders wat op 'n markplein sit en na mekaar roep en sê: 'Ons het vir julle op die fluit gespeel, maar julle het nie gedans nie. Ons het 'n treurlied gesing, maar julle het nie gehuil nie.' 33 Net so het Johannes die Doper gekom en nie brood geëet of wyn gedrink nie,^e maar julle sê: 'Hy het 'n demoon.' 34 Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, maar julle sê: 'Kyk! 'n Vraat en iemand wat aan wyn verslaaf is, 'n vriend van belastingvaarders en sondaars!'^f 35 Maar wysheid word reg bewys deur sy resultate."^g

36 En een van die Fariseërs het hom bly vra om by hom te kom eet. Toe het hy in die huis van die Fariseër ingegaan en sy plek by die tafel ingeneem. 37 'n Vrou wat in die stad as 'n sondaar bekend gestaan het, het uitgevind dat hy in die huis van die Fariseër eet,^h en sy het 'n albasterfles met lekkerruikolie gebring.^h 38 Sy het agter hom by sy voete gaan kniel. Sy het gehuil en sy voete met haar trane begin natmaak en dit met

7:29 *Persone wat belasting vir die regering invorder. 7:30 *Of "leiding". 7:35 *Of "geregverdig deur al sy kinders". 7:37 *Of "aan tafel is".

haar hare afgedroog. Sy het ook sy voete gesoen en die olie daarop gegooi. **39** Toe die Farieseër wat hom genooi het, dit sien, het hy gedink: "As hierdie man regtig 'n profeet was, sou hy geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondaar is."^a **40** Maar Jesus het vir hom gesê: "Simon, ek het iets om vir jou te sê." Hy het gesê: "Leermeester, sê dit!"

41 "Twee mans was in die skuld by 'n sekere man wat geld aan ander geleen het. Die een het 500 dena'rii* geskuld, maar die ander een 50. **42** Toe hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy hulle al twee vryelik vergewe. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?" **43** Simon het geantwoord: "Dit is seker die een wat hom die meeste geskuld het." Hy het vir hom gesê: "Jy het reg geoordeel." **44** Toe het hy na die vrou gekyk en vir Simon gesê: "Sien jy hierdie vrou? Toe ek in jou huis ingekom het, het jy nie vir my water vir my voete gegee nie. Maar hierdie vrou het my voete met haar trane natgemaak en dit met haar hare afgedroog. **45** Jy het my nie gesoen nie, maar van die uur dat ek ingekom het, het hierdie vrou nie opgehou om my voete te soen nie. **46** Jy het nie olie op my kop gegooi nie, maar hierdie vrou het lekkerruik-olie op my voete gegooi. **47** Ek sê vir jou: As gevolg hiervan is haar sondes vergewe,^b al is dit baie,* want sy het baie liefde betoon. Maar die een wat min vergewe word, betoon min liefde." **48** Toe het hy vir haar gesê: "Jou sondes is vergeewe."^c **49** Dié wat saam met

7:41 *Sien Aanh. B14. 7:47 *Of "groot".

HFST. 7
a Lu 15:2
b Ps 32:1
Ps 51:1
Ps 103:2, 3
Jes 1:18
Jes 43:25
Jes 44:22

c Mt 9:2
Mr 2:5

Tweede kol.

a Mr 2:7
Lu 5:21

b Mt 9:22
Lu 8:48

HFST. 8

c Mt 9:35
Lu 4:43

d Lu 24:9, 10

e Mt 27:55
Mr 15:40, 41

f Mt 13:1-3
Mr 4:1, 2

g Mt 13:3-9
Mr 4:3-9
Lu 8:12

h Lu 8:13

i Lu 8:14

j Lu 8:15

k Mt 11:15
Mt 13:9
Mr 4:9

l Mt 13:10
Mr 4:10

hom aan tafel was, het toe vir mekaar begin vra: "Wie is hierdie man wat selfs sondes vergewe?"^a **50** Maar hy het vir die vrou gesê: "Jou geloof het jou gered."^b Gaan in vrede."

8 Kort daarna het hy van stad tot stad en van dorpie tot dorpie gereis en gepreek en die goeie nuus van die Koninkryk van God bekend gemaak.^c En die Twaalf was saam met hom, **2** asook sekerre vrouens wat van bese geestes en siektes genees was: Maria, wat Magdale'na genoem is, uit wie sewe demone uitgekrom het, **3** en Johanna,^d die vrou van Gusa, die man wat Herodes se sake bestuur het, en Susanna en baie ander vrouens, wat hulle besittings gebruik het om Jesus en sy apostels te bedien.^e

4 Nadat 'n groot skare bymekaargekom het by dié wat van stad tot stad saam met hom gegaan het, het hy vir hulle 'n illustrasie vertel:^f **5** "n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai. Terwyl hy gesaai het, het van die saad langs die pad geval en is dit vertrap, en die voëls van die hemel het dit opgeëet.^g **6** Ander saad het op die rots geval, en nadat dit uitgespruit het, het dit uitgedroog omdat dit nie genoeg water gehad het nie.^h **7** Nog ander saad het tussen die dorings geval, en die dorings wat saam met dit opgekrom het, het gekeer dat dit verder groei.ⁱ **8** Maar ander saad het op die goeie grond geval, en nadat dit uitgespruit het, het dit 100 keer soveel vrug gedra."^j Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy uitgeroep: "Laat die een wat ore het om te luister, luister."^k

9 Maar sy dissipels het hom gevra wat hierdie illustrasie beteken.^l **10** Hy het gesê: "Jul-

le het die voorreg ontvang om die heilige geheime van die Koninkryk van God te verstaan, maar vir die res is dit net illustrasies.^a Daarom sal hulle kyk, maar hulle sal verniet kyk, en hulle sal hoor, maar hulle sal nie die betekenis verstaan nie.^b **11** Die illustrasie beteken dan nou die volgende: Die saad is die woord van God.^c **12** Die saad langs die pad is die mense wat gehoor het, maar dan kom die Duiwel en neem die woord uit hulle harte weg sodat hulle nie sal glo en gered word nie.^d **13** Die saad op die rots is die mense wat die woord met vreugde ontvang wanneer hulle dit hoor, maar hulle het geen wortel nie. Hulle glo 'n ruk lank, maar wanneer hulle getoets word, val hulle weg.^e **14** En die saad wat tussen die dorings geval het, is die mense wat gehoor het, maar omdat hulle aandag deur bekommernisse, rykdom^f en die pleiere van hierdie lewe^g afgelei word, kan hulle glad nie verder groei en vrug dra nie.^h **15** Die saad op die goeie grond is die mense wat die woord met 'n opregte en goeie hartⁱ hoor en dan daaraan vashou en met volharding vrug dra.^j

16 "Niemand steek 'n lamp aan en bedek dit met 'n houer of sit dit onder 'n bed nie. Hy sit dit eerder op 'n lampstander, sodat dié wat inkom, die lig kan sien.^k **17** Want daar is niks wat bedek is wat nie openbaar gemaak sal word nie, en daar is niks wat sorgvuldig weggesteek is wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.^l **18** Skenk dus aandag aan hoe julle luister, want as iemand het, sal meer aan hom gegee word,^m maar as iemand nie het nie, sal selfs wat hy dink hy het, van hom af weggeneem word."ⁿ

HFST. 8

- a Ps 78:2
Mt 13:34, 35
Mr 4:34
- b Jes 6:9, 10
Mt 13:11, 13
Mr 4:11, 12
- c Mt 13:18-23
Mr 4:14-20
- d Mt 13:19
Mr 4:15
2Kor 4:3, 4
- e Mt 13:20, 21
Mr 4:16, 17
- f Mt 19:23
1Ti 6:9
- g 2Ti 4:10
- h Mt 13:22
Mr 4:18, 19
- i Han 16:14
- j Mt 13:23
Mr 4:20
Heb 10:36
- k Mt 5:15
Mr 4:21
Lu 11:33
Flp 2:15
- l Mt 10:26
Mr 4:22
Lu 12:2
- m Mt 25:23
- n Mt 13:12
Mt 25:29
Mr 4:24, 25
Lu 19:26

Tweede kol.

- a Mt 13:55
Joh 7:5
Han 1:14
- b Mt 12:46, 47
Mr 3:31, 32
- c Mt 12:48-50
Mr 3:33-35
Joh 15:14
- d Mt 8:18, 23
Mr 4:35, 36
- e Mt 8:24-27
Mr 4:37-41
- f Ps 89:9
- g Mt 8:27
Mr 4:41
- h Mr 5:1
- i Mt 8:28, 29
Mr 5:2-10

19 Sy ma en broers^a het na hom toe gekom, maar weens die skare kon hulle nie tot by hom kom nie.^b **20** Iemand het toe vir hom gesê: "U ma en u broers staan buite en wil u sien." **21** Hy het geantwoord: "My ma en my broers is dié wat die woord van God hoor en dit doen."^c

22 Eendag het hy en sy dissipels in 'n boot geklim, en hy het vir hulle gesê: "Kom ons gaan na die oorkant van die meer." Toe het hulle vertrek.^d **23** Maar terwyl hulle ge-seil het, het hy aan die slaap geraak. En 'n groot windstorm het oor die meer losgebars, en hulle boot het vol water begin word en was in gevaar.^e **24** Hulle het hom toe gaan wakker maak en gesê: "Onderrigter, Onderrigter, ons staan op die punt om dood te gaan!" Toe het hy opgestaan en die wind en die onstuimige water bestraf, en dit het bedaar, en 'n kalmte het oor die meer gekom.^f **25** Toe het hy vir hulle gevra: "Waar is julle geloof?" Maar hulle was bang en verbaas en het vir mekaar gesê: "Wie is hy regtig? Want hy beveel selfs die wind en die water, en dit gehoorsaam hom."^g

26 Hulle het in die gebied van die Geraseners aangekom,^h wat oorkant Galile'a is. **27** Maar toe Jesus op die land uitklim, het 'n sekere man uit die stad na hom toe gekom wat demone in hom gehad het. Hy het al 'n hele ruk lank nie kle-re gedra nie, en hy het nie in 'n huis gebly nie, maar tussen die grafte.^{si} **28** Toe hy Jesus sien, het hy hard uitge-roep en voor hom neergeval, en hy het met 'n harde stem gesê: "Wat het ek met jou te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste

8:27 *Of "gedenkgrafte".

God? Ek smeeek jou, moet my nie pynig nie.”^a **29** (Want Jesus het die onrein gees beveel om uit die man uit te kom. Die gees het hom dikwels gegryp,^b en hy is al baie kere met kettings en voetboeie gebind en bewaak, maar hy het die boeie uitmeekaargeruk en is deur die demoon na afgeleë plekke gedryf.) **30** Jesus het hom gevra: “Wat is jou naam?” Hy het gesê: “Legioen,” want baie demone het in hom ingevaar. **31** En hulle het hom bly smeeek om hulle nie te beveel om in die afgrond in te gaan nie.^c **32** ’n Groot trop varke^d het daar op die berg gewei. Toe het hulle hom gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in te gaan, en hy het hulle toestemming gegee.^e **33** Toe het die demone uit die man uitgegaan en in die varke ingegaan, en die trop het oor die krans* gestorm, in die meer in, en verdrink. **34** Maar toe die oppassers sien wat gebeur het, het hulle gevlug en die nuus in die stad en op die platteland gaan vertel.

35 Toe het mense gekom om te sien wat gebeur het. Hulle het by Jesus gekom en die man gevind uit wie die demone gekom het. Hy het klere aangehad, was by sy volle verstand en het by Jesus se voete gesit, en die mense het baie bang geword. **36** Die mense wat dit gesien het, het vir hulle vertel hoe die man in wie daar demone was, genes is. **37** Toe het baie mense van die omliggende gebied van die Geraseners hom gevra om van hulle af weg te gaan, want hulle was baie bang. Hy het toe in die boot geklim om te vertrek. **38** Die man uit

8:29 *Of moontlik “het hom oor ’n lang tyd vasgehou”. 8:33 *Of “teen die steilte af”.

HFST. 8

a Mr 1:23, 24

b Mr 9:20, 21

c Op 20:2, 3

d Le 11:7, 8

De 14:8

e Mt 8:30-34

Mr 5:11-17

Tweede kol.

a Mr 5:18-20

b Mr 5:21

c Mt 9:18, 19

Mr 5:22-24

d Le 15:25

e Mt 9:20-22

Mr 5:25-29

f Nu 15:38, 39

g Mr 5:30-34

h Lu 5:17

i Mt 9:22

Lu 7:50

wie die demone uitgegaan het, het egter aangehou smeeek om by hom te bly, maar hy het die man weggestuur en gesê:^a **39** “Gaan terug huis toe, en hou aan om te vertel wat God vir jou gedoen het.” Toe het hy weggegaan en deur die hele stad verkondig wat Jesus vir hom gedoen het.

40 Toe Jesus terugkom, het die skare hom vriendelik ontvang, want hulle almal het hom verwag.^b **41** ’n Man met die naam Jairus het na hom toe gekom. Hy was ’n hoofbeampte van die sinagoge, en hy het voor Jesus se voete neergeval en hom begin smeeek om na sy huis te kom,^c **42** want sy enigste dogter, wat omtrent 12 jaar oud was, het op sterwe gelê.

Terwyl Jesus gegaan het, het die skare van alle kante af teen hom gedruk. **43** En daar was ’n vrou wat 12 jaar lank aan bloedvloeiing gely het,^d en niemand kon haar genes nie.^e **44** Sy het van agter af gekom en aan die fraiings van sy bkleed geraak,^f en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. **45** Toe het Jesus gevra: “Wie het aan my geraak?” Toe hulle almal dit ontken, het Petrus gesê: “Onderrigter, die skare omring u en druk van alle kante af teen u.”^g **46** Maar Jesus het gesê: “Iemand het aan my geraak, want ek weet dat krag^h uit my uitgegaan het.” **47** Toe die vrou besef dat Jesus weet dat iets gebeur het, het sy voor hom kom neerval terwyl sy gebewe het en voor al die mense gesê hoekom sy aan hom geraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. **48** Maar hy het vir haar gesê: “Dogter, jou geloof het jou gesond gemaak. Gaan in vrede.”ⁱ

49 Terwyl hy nog gepraat het, het ’n verteenwoordiger

van die hoofbeampte van die sinagoge gekom en gesê: "U dogter het gesterf! Moenie die Leermeester langer lastig val nie."^a **50** Toe Jesus dit hoor, het hy vir hom gesê: "Moenie bekommerd wees nie. Betoon net geloof, en sy sal gered word."^b **51** Toe hy by die huis kom, het hy niemand saam met hom laat ingaan nie, behalwe Petrus, Johannes, Jakobus en die meisie se pa en ma. **52** Die mense het almal gehuil en hulleself geslaan omdat hulle oor haar getreur het. Toe het hy gesê: "Hou op huil,^c want sy het nie gesterf nie. Sy slaap."^d **53** Hulle het hom begin uitlag, want hulle het geweet dat sy gesterf het. **54** Maar hy het haar hand geneem en uitgeroep: "Kind, staan op!"^e **55** En sy het weer lewend geword,^f en sy het dadelik opgestaan,^g en hy het gesê dat hulle vir haar iets moet gee om te eet. **56** Wel, haar ouers se harte het oorge-loop van vreugde, maar hy het vir hulle gesê om vir niemand te vertel wat gebeur het nie.^h

9 Toe het hy die Twaalf byme-kaargeroep en hulle mag en gesag gegee oor al die demone,ⁱ sowel as die vermoë om siektes te genees.^j **2** Hy het hulle uitgestuur om die Koninkryk van God te verkondig en om mense gesond te maak, **3** en hy het vir hulle gesê: "Moet niks vir die reis saamvat nie, nie 'n staf of 'n voedselsak of brood of geld* nie. Moet ook nie twee kledingstukke# saamvat nie.^k **4** Maar waar julle ook al in 'n huis ingaan, bly daar en vertrek daarvandaan.^l **5** En waar mense julle nie ontvang nie, skud die stof van julle voete af wanneer

8:55 *Lett. "haar gees (asem) het teruggekeer". 9:3 *Lett. "silwer". #Of "ekstra klere".

HFST. 8

a Mr 5:35-37

b Joh 11:25
Ro 4:17

c Lu 7:12, 13

d Mt 9:23-26
Mr 5:38-43
Joh 11:11
Han 7:60
Han 13:36e Mr 5:41
Lu 7:14
Joh 11:43f Ge 2:7
Pr 3:19
Jes 42:5

g Mr 5:42

h Mr 7:35, 36

HFST. 9

i Mr 6:7

j Mt 10:1

k Mt 10:9, 10
Pr 3:19
Lu 10:4l Mt 10:11
Mr 6:10
Lu 10:5, 7

Tweede kol.

a Mt 10:14
Mr 6:11
Lu 10:10, 11
Han 13:50, 51b Mt 11:1
Mr 6:12, 13c Mt 14:1, 2
Mr 6:14-16d Mr 8:27, 28
Lu 9:18, 19

e Mt 14:3, 10

f Lu 23:8

g Mr 6:30

h Mt 14:13

i Mt 14:14
Mr 6:34
Joh 6:2j Mt 14:15-21
Mr 6:35-44
Joh 6:5-13

k 2Kn 4:42-44

julle uit daardie stad uitgaan. Dit sal as 'n getuienis teen hulle dien."^a **6** Toe het hulle vertrek en deur die gebied van dorpie tot dorpie gegaan en oral die goeie nuus bekend gemaak en mense genees.^b

7 Herodes,^{*} die distriksheer-ser,[#] het gehoor van al die dinge wat gebeur het, en hy kon nie verstaan wat aan die gang is nie omdat party gesê het dat Johannes uit die dood opgewek is,^c **8** maar ander het gesê dat Eli'a verskyn het, en nog ander het gesê dat een van die profete van die ou tyd opgestaan het.^d **9** Herodes het gesê: "Ek het Johannes se kop laat afkap.^e Wie is dan die persoon van wie ek hierdie dinge hoor?" En hy wou hom baie graag sien.^f

10 Toe die apostels terugkom, het hulle vir Jesus vertel wat hulle alles gedoen het.^g Daarna het hy hulle saamgeneem en weggegaan na 'n stad wat Betsa'ida genoem word om alleen te wees.^h **11** Maar die skare het daarvan uitgevind en hom gevolg. En hy het hulle vriendelik ontvang en met hulle oor die Koninkryk van God begin praat, en hy het die siek mense gesond gemaak.ⁱ **12** Teen die einde van die dag het die Twaalf nader gekom en vir hom gesê: "Stuur die skare weg, sodat hulle na die omliggende dorpie en platteland kan gaan om kos en blyplek te kry, want ons is hier op 'n afgeleë plek."^j **13** Maar hy het vir hulle gesê: "Gee julle vir hulle iets om te eet."^k Hulle het gesê: "Ons het net vyf brode en twee visse, tensy ons miskien self vir al hierdie mense gaan kos koop." **14** Daar was omtrent 5 000 mans. Hy het vir sy

9:7 *D.w.s. Herodes Antipas. Sien Woordelys. #Lett. "die tetrarg".

dissipels gesê: "Laat hulle in groepe van omtrent 50 elk gaan sit." **15** En hulle het dit gedoen en almal laat sit. **16** Toe het hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en dit geseën. Daarna het hy dit gebreek en dit vir die dissipels begin gee om aan die skare te gee. **17** Toe het hulle almal geëet en versadig geword, en nadat hulle die oorskietstukke opgetel het, was daar 12 mandjies vol.^a

18 Later, terwyl hy alleen gebid het, het die dissipels na hom toe gekom, en hy het hulle gevra: "Wie sê die skare is ek?"^b **19** Hulle het gesê: "Johannes die Doper, maar ander sê Eli'a, en nog ander sê dat een van die profete van die ou tyd verskyn het."^c **20** Toe het hy vir hulle gevra: "Maar julle, wie sê julle is ek?" Petrus het geantwoord: "Die Christus van God."^d **21** Toe het hy streng met hulle gepraat en gesê dat hulle niemand hiervan moet vertel nie,^e **22** maar hy het gesê: "Die Seun van die mens moet baie ly en verwerp word deur die ouermanne en die hoofpriesters en die skrifgeleerdes en doodgemaak word^f en op die derde dag opgewek word."^g

23 Toe het hy verder vir almal gesê: "As iemand sy volgeling wil word, moet hy ophou om vir homself te lewe^h en dag ná dag sy folterpaal^h optel en aanhou om my te volg.ⁱ **24** Want enigiemand wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar enigiemand wat sy lewe ter wille van my verloor, sal dit red.^j **25** Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld wen, maar homself verloor of skadelik?^k **26** Want as iemand hom

9:23 *Of "moet hy homself verloën".
"Sien Woordelys.

HFST. 9

- a Mt 14:20
Mr 6:43
Joh 6:13
- b Mt 16:13-16
Mr 8:27-30
- c Lu 9:7, 8
- d Mt 16:16
Mr 8:29
Joh 1:41
Joh 6:68, 69
- e Mt 16:20
- f Jes 53:5, 8
Lu 17:25
- g Mt 16:21
Mr 8:31
- h Flp 3:7, 8
- i Mt 10:38
Mt 16:24
Mr 8:34
Lu 14:27
- j Mt 16:25
Mr 8:35
Joh 12:25
Han 20:24
Op 2:10
- k Mt 16:26
Mr 8:36

Tweede kol.

- a Mt 10:33
Mr 8:38
2Ti 2:12
- b Mt 16:28
Mr 9:1
- c Mt 17:1-8
Mr 9:2-8
- d Lu 9:22
Lu 13:33
- e 2Pe 1:16
- f Lu 3:22
Joh 12:28
- g Ps 2:7
Jes 42:1
Mt 3:17
2Pe 1:17
- h De 18:15
Mt 17:5
Mr 9:7
Han 3:22, 23

vir my en my woorde skaam, sal die Seun van die mens hom vir daardie persoon skaam wanneer hy kom met sy mag* en dié van die Vader^a en van die heilige engele. **27** Maar ek verseker julle: Daar is party van dié wat hier staan, wat beslis nie sal sterf voordat hulle eers die Koninkryk van God gesien het nie."^b

28 Omtrent agt dae nadat hy hierdie woorde gesê het, het hy Petrus, Johannes en Jakobus saamgeneem en teen die berg opgeklim om te bid.^c **29** Terwyl hy gebid het, het die voorkoms van sy gesig verander, en sy klere het glinsterend wit geword. **30** En kyk! twee mans het met hom gesels. Dit was Moses en Eli'a. **31** Hulle het verskyn en is omring deur 'n helder glans en het begin praat oor die feit dat hy moes weggaan, wat binnekort in Jerusalem vervul sou word.^d **32** Petrus en dié wat saam met hom was, het aan die slaap geraak, maar toe hulle wakker word, het hulle die helder lig gesien wat om hom geskyn het,^e en die twee mans wat by hom staan. **33** En terwyl hulle van hom af weggegaan het, het Petrus vir Jesus gesê: "Onderrigter, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie skuilings* oprig: een vir u, een vir Moses en een vir Eli'a." Petrus het nie besef wat hy sê nie. **34** Maar terwyl hy hierdie dinge gesê het, het 'n wolk gevorm en oor hulle gekom. Toe hulle in die wolk ingaan, het hulle bang geword. **35** 'n Stem^f het uit die wolk gekom en gesê: "Dit is my Seun, die een wat uitgekies is.^g Luister na hom."^h **36** Terwyl die stem nog gepraat het, het hul-

9:26 *Of "heerlikheid". 9:33 *Lett. "tente".

le gesien dat Jesus weer alleen is. Maar hulle het stilgebly en in daardie dae vir niemand vertel wat hulle gesien het nie.^a

37 Die volgende dag, toe hulle van die berg afgekom het, het 'n groot skare na hom toe gekom.^b **38** 'n Man het uit die skare geroep en gesê: "Leermeester, ek smeeek u om na my seun te kom kyk, want hy is my enigste seun."^c **39** Kyk! 'n Gees gryp hom, en dan skree hy skielik. Hy laat hom stuiptrekkings kry en skuim by sy mond uitkom, en nadat hy hom beseer het, los hy hom nie sommer maklik nie. **40** Ek het u dissipels gesmeek om die gees uit te dryf, maar hulle kon nie."^d **41** Jesus het geantwoord: "Julle is so 'n ongelowige en verdraaide geslag!^d Hoe lank moet ek by julle bly? Hoe lank moet ek julle verdra? Bring jou seun hier na my toe."^e **42** Maar selfs terwyl die seun nader gekom het, het die demoon hom op die grond neergegooi en hom hewige stuiptrekkings laat kry. Jesus het egter streng met die onrein gees gepraat en die seun gesond gemaak en hom aan sy pa teruggegee. **43** En hulle almal was verstom oor die groot krag van God.

Terwyl hulle almal verbaas was oor al die dinge wat hy gedoen het, het hy vir sy dissipels gesê: **44** "Luister mooi en onthou hierdie woorde, want die Seun van die mens gaan verraai word en aan mense oorgelewer word."^f **45** Maar hulle het nie verstaan wat hy sê nie. Om die waarheid te sê, hulle kon nie die betekenis daarvan begryp nie, en hulle was bang om hom hieroor uit te vra.

46 Toe het hulle begin stry oor wie van hulle die grootste is.^g **47** Omdat Jesus geweet

HFST. 9

a Mt 17:9
Mr 9:9

b Mr 9:14, 15

c Mt 17:14-16
Mr 9:17, 18

d De 32:5

e Mt 17:17, 18
Mr 9:19-27f Mt 17:22, 23
Mr 9:31, 32
Lu 18:31-33g Mt 18:1-5
Mr 9:33-37
Lu 22:24

Tweede kol.

a Mr 9:37
Joh 12:44b Spr 18:12
Mt 18:4, 5
Mt 23:11, 12

c Mr 9:38-40

d Han 1:1, 2
ITi 3:16

e Joh 4:9

f Mr 3:17

g 2Kn 1:10

h Mt 8:20

het wat hulle dink,* het hy 'n jong kind langs hom laat staan **48** en vir hulle gesê: "Elkeen wat hierdie jong kind op grond van my naam ontvang, ontvang my ook, en elkeen wat my ontvang, ontvang ook die Een wat my gestuur het.^a Want wie hom as 'n mindere onder julle almal gedra, is die een wat groot is."^b

49 Johannes het geantwoord: "Onderrigter, ons het iemand gesien wat demone uitdryf deur u naam te gebruik, en ons het hom probeer keer omdat hy nie een van ons is nie."^c **50** Maar Jesus het vir hom gesê: "Moet hom nie probeer keer nie, want wie nie teen julle is nie, is vir julle."

51 Toe die dae nader kom vir hom om na die hemel op te vaar,^d het hy vas besluit om na Jerusalem te gaan. **52** Toe het hy boodskappers voor hom uit gestuur. En hulle het gegaan en in 'n dorpie van die Samaritane ingegaan om voorbereidings vir hom te tref. **53** Maar hulle het hom nie gasvry ontvang nie,^e omdat hy vasbeslote was om na Jerusalem te gaan. **54** Toe die dissipels Jakobus en Johannes^f dit sien, het hulle gesê: "Here, wil u hê ons moet sê dat vuur uit die hemel moet kom en hulle vernietig?"^g **55** Maar hy het omgedraai en streng met hulle gepraat. **56** Toe het hulle na 'n ander dorpie gegaan.

57 Terwyl hulle verder gereis het, het iemand vir hom gesê: "Ek sal u volg waar u ook al gaan."^h **58** Maar Jesus het vir hom gesê: "Jakkalse het gate en voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het nêrens om sy kop neer te lê nie."^h **59** Toe het hy vir iemand anders gesê: "Word my

9:47 *Lett. "die redenering van hulle hart geken het".

volgeling.” Die man het gesê: “Here, laat my toe om eers my pa te gaan begrawe.”^a **60** Maar hy het vir hom gesê: “Laat die dooies^b hulle dooies begrawe, maar gaan jy en maak die Koninkryk van God oral bekend.”^c **61** En nog iemand anders het gesê: “Ek sal u volg, Here, maar laat my eers toe om afskeid te neem van dié in my huis.” **62** Jesus het vir hom gesê: “Geen mens wat begin ploeg en na die dinge kyk wat agter is,^d is geskik vir die Koninkryk van God nie.”^e

10 Ná hierdie dinge het die Here 70 ander gekies en hulle twee-twee voor hom uit gestuur^f na elke stad en plek waarheen hy self sou gaan. **2** Toe het hy vir hulle gesê: “Ja, die oes is groot, maar die werkers is min. Smeek dus die Meester van die oes om werkers in sy oes uit te stuur.^g **3** Gaan! Ek stuur julle soos lammers onder wolwe in.^h **4** Moenie ’n geldsak of ’n voedselsak of sandale saamvat nie,ⁱ en moet niemand langs die pad groet nie.* **5** Oral waar julle in ’n huis ingaan, sê eers: ‘Mag hierdie huis vrede hê.’^j **6** En as daar ’n vriend van vrede is, sal julle vrede op hom rus. Maar so nie, sal dit na julle toe terugkeer. **7** Bly dan in daardie huis^k en eet en drink wat hulle voorsien,^l want die werker is sy betaling werd.^m Moenie van huis tot huis rondtrek nie.

8 “En waar julle ook al in ’n stad ingaan en die mense julle ontvang, eet wat hulle vir julle gee, **9** en genees die siek mense daarin en sê vir hulle: ‘Die Koninkryk van God het naby julle gekom.’ⁿ **10** Maar waar julle ook al in ’n stad ingaan en

10:4 *Of “met ’n omhelsing groet nie”.

HFST. 9

a Mt 8:21

b Ef 2:1

c Mt 8:22

d Ge 19:17

e Mt 10:37
1Kor 9:24
Flp 3:13

HFST. 10

f Mr 6:7

g Mt 9:37, 38
1Kor 3:9
2Te 3:1

h Mt 10:16

i Mt 10:9, 10
Lu 9:3

j Mt 10:12, 13

k Mt 10:11
Lu 9:4

l Ga 6:6

m Mt 10:9, 10
1Kor 9:11, 14
1Ti 5:18

n Mt 3:1, 2
Lu 9:2

Tweede kol.

a Mt 10:14
Lu 9:5
Han 13:50, 51

b Mt 11:24

c Mt 11:21-23

d Mt 10:40
Mr 9:37
Joh 13:20

e Joh 5:23
Joh 12:48
Joh 15:23

f Han 16:17, 18

g Joh 12:31
Joh 16:11
Heb 2:14
Op 12:7-9

h Ps 91:13

i Eks 32:32
Da 12:1
Flp 4:3
Op 3:5

die mense julle nie ontvang nie, gaan uit in sy hoofstrate en sê: **11** ‘Selfs die stof van julle stad wat aan ons voete vassit, vee ons teen julle af.’^a Maar hou in gedagte dat die Koninkryk van God naby gekom het.’ **12** Ek sê vir julle dat dit in daardie dag beter sal gaan met Sodom as met daardie stad.^b

13 “Dit sal sleg gaan met jou, Go’rasin! Dit sal sleg gaan met jou, Betsai’da! Want as die kragtige werke wat in julle plaasgevind het, in Tirus en Sidon plaasgevind het, sou hulle lankal berou getoon het en in sak en as gaan sit het.^c **14** Daarom sal dit in die oordeel beter gaan met Tirus en Sidon as met julle. **15** En jy, Kaper’naum, sal jy miskien hoog opgelig word tot in die hemel? Jy sal afkom na die Graf* toe!

16 “Wie na julle luister, luister ook na my.^d En wie julle verwerp, verwerp my ook. Wat meer is, wie my verwerp, verwerp ook die Een wat my gestuur het.”^e

17 Toe het die 70 vreugdevol teruggekom en gesê: “Here, selfs die demone gehoorsaam ons wanneer ons u naam gebruik.”^f **18** Toe het hy vir hulle gesê: “Ek sien dat Satan reeds soos weerlig uit die hemel geval het.^g **19** Ek het julle die gesag gegee om slange en skerpioene te vertrap, en om al die krag van die vyand te breek,^h en niks of niemand sal enigiets slegs aan julle doen nie. **20** Tog moet julle nie bly wees dat die geeste julle gehoorsaam nie, maar wees bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.”ⁱ **21** Op daardie oomblik het hy begin oorloop van vreugde in die heilige gees en gesê: “Ek loof u in die open-

10:15 *Of “Hades”. Sien Woordelys.

baar, Vader, Here van hemel en aarde, omdat u hierdie dinge sorgvuldig vir die wyse en geleerde* mense^a weggesteek het en dit aan jong kinders geopenbaar het. Ja, o Vader, want u het goedgekeur dat dit op hierdie manier gebeur.^b **22** My Vader het alles aan my gegee, en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader. En niemand weet wie die Vader is nie, behalwe die Seun,^c en enigeen aan wie die Seun bereid is om hom te openbaar.”^d

23 Toe hulle alleen was, het hy na die dissipels gedraai en vir hulle gesê: “Gelukkig is die oë wat die dinge sien wat julle sien.”^e **24** Want ek sê vir julle: Baie profete en konings wou graag die dinge sien wat julle sien, maar hulle het dit nie gesien nie,^f en hulle wou die dinge hoor wat julle hoor, maar hulle het dit nie gehoor nie.”

25 'n Man wat die Wet goed geken het, het opgestaan om hom te toets en het gevra: “Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?”^g **26** Hy het vir hom gevra: “Wat staan in die Wet geskryf? Wat het jy daarin gelees?” **27** Hy het geantwoord: “Jy moet Jehovah* jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel^h en met al jou krag en met jou hele verstand,^h en ‘jou naaste soos jouself.”ⁱ **28** Hy het vir hom gesê: “Jy het reg geantwoord. Hou aan om dit te doen, en jy sal die lewe ontvang.”ⁱ

29 Maar omdat die man wou bewys dat hy regverdig is,^k het hy vir Jesus gevra: “En wie is my naaste?” **30** Jesus het gesê: “'n Man het van Jerusalem

HFST. 10

a 1Kor 1:19
1Kor 2:6

b Mt 11:25, 26

c Joh 10:15

d Mt 11:27
Joh 1:18
2Kor 4:6

e Mt 13:16, 17

f 1Pe 1:10, 11

g Mt 19:16
Mr 10:17
Lu 18:18h De 6:5
De 10:12
Jos 22:5
Mr 12:30i Le 19:18
Mt 19:19
Ro 13:9
Ga 5:14
Jak 2:8j Le 18:5
Joh 17:3

k Lu 16:15

Tweede kol.

a Joh 4:9

b Mt 19:19

c Spr 14:21

d Lu 6:36
Joh 13:17
Ef 4:32

e Joh 12:2

na Je'rigo afgegaan en is deur rowers aangeval, wat hom uitgetrek en geslaan het en hom halfdood agtergelaat het. **31** En toevallig het 'n priester met daardie pad afgegaan, maar toe hy hom sien, het hy aan die oorkant verbygegaan. **32** Toe het daar 'n Leviet verbygekom. Toe hy die man sien, het hy ook aan die oorkant verbygegaan. **33** Maar 'n sekere Samaritaan^a wat op die pad gereis het, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy baie jammer gevoel vir hom. **34** En hy het na hom toe gegaan en sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Toe het hy hom opgetel en hom op sy eie dier gesit en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg. **35** Die volgende dag het hy twee dena'rii* uitgehaal, dit vir die eienaar gegee en gesê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer as dit uitgee, sal ek jou terugbetaal wanneer ek terugkom.’ **36** Wat dink jy? Wie van hierdie drie het hom die naaste gemaak^b van die man wat deur die rowers aangeval is?” **37** Hy het gesê: “Die een wat goed was vir hom.”^c Jesus het toe vir hom gesê: “Gaan en doen dieselfde.”^d

38 En op hulle reis het hy in 'n sekere dorpie ingegaan. Hier het 'n vrou met die naam Marta^e hom as 'n gas in haar huis ontvang. **39** Sy het ook 'n suster met die naam Maria gehad, wat by die Here se voete gaan sit en luister het na wat hy gesê het.* **40** Marta se aandag is egter afgelei omdat sy druk besig was om alles voor te berei. Toe het sy na hom toe gekom en gesê: “Here, gee u nie om dat my suster my los om alles alleen te doen nie? Sê vir haar om my te kom help.” **41** Die Here het vir

10:21 *Lett. “intellektuele”. 10:27 *Sien Aanh. A5. ^h Sien Woordelys.

10:35 *Sien Aanh. B14. 10:39 *Lett. “sy woord”.

haar gesê: “Marta, Marta, jy is angstig en bekommerd oor baie dinge, **42** maar net ’n paar dinge is nodig, of selfs net een. Maria het die goeie* deel gekies,^a en dit sal nie van haar af weggeneem word nie.”

11 Eenkeer het hy op ’n sekere plek gebid. Toe hy klaar was, het een van sy dissipels vir hom gesê: “Here, leer ons hoe om te bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.”

2 Daarom het hy vir hulle gesê: “Wanneer julle bid, sê: ‘Vader, laat u naam geheilig word.^b Laat u Koninkryk kom.^c **3** Gee ons elke dag ons brood volgens ons daaglikse behoeftes.^d **4** En vergewe ons ons sondes,^e want ons vergewe ook elkeen wat teen ons gesondig het,^f en moet ons nie in versoeking bring nie.’”^g

5 Toe het hy vir hulle gesê: “Sê nou een van julle het ’n vriend en jy gaan midder-nag na hom toe en sê vir hom: ‘Vriend, leen vir my drie brode, **6** want een van my vriende het nou net by my aangekom, en ek het niks om vir hom aan te bied nie.’ **7** Maar die man antwoord van binne af: ‘Hou op om my te pla. Die deur is al gesluit, en my jong kinders is saam met my in die bed. Ek kan nie opstaan en vir jou iets gee nie.’ **8** Ek sê vir julle: Al staan die man nie op om vir jou iets te gee omdat jy sy vriend is nie, sal die man beslis opstaan omdat jy aanhoudend vra,^h en die man sal vir jou gee wat jy ook al nodig het. **9** Daarom sê ek vir julle: Hou aan vra,ⁱ en daar sal vir julle gegee word. Hou aan soek, en julle sal vind. Hou aan klop, en daar sal vir julle oopgemaak word.^j

10:42 *Of “beste”. 11:4 *Lett. “wat by ons in die skuld is”.

HFST. 10
a Mt 4:4
Mt 6:33

HFST. 11
b Le 22:32
Jes 5:16
Ese 36:23

c Da 2:44
Da 7:13, 14
Mt 6:9-13

d Ps 37:25

e Ps 79:9
Da 9:19

f Mr 11:25
Ef 4:32
Kol 3:13

g Lu 22:46
1Kor 10:13
Jak 1:13
Op 3:10

h Lu 18:5

i Ro 12:12

j Mt 7:7, 8

Tweede kol.

a Mr 11:24
Joh 15:7
Jak 1:6
1Jo 3:22
1Jo 5:14

b Mt 7:9, 10

c Mt 7:11
Jak 1:17

d Mt 12:22

e Mt 9:32-34

f Mt 12:24-30
Mr 3:22-27

g Mt 12:38
Mr 8:11

h Joh 2:24, 25

i Eks 8:19

j Mt 12:28
Lu 17:21

10 Want elkeen wat vra, ontvang,^a en elkeen wat soek, vind, en vir elkeen wat klop, sal daar oopgemaak word. **11** Ja, watter pa onder julle sal, as sy seun ’n vis vra, vir hom ’n slang in plaas van ’n vis gee?^b **12** Of sal hy vir hom ’n skerpioen gee as hy ’n eier vra? **13** As julle wat goddeloos is, dan weet hoe om goeie dinge vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Vader in die hemel heilige gees gee vir dié wat hom vra!”^c

14 Later het hy ’n demoon uit ’n stom man uitgedryf.^d Nadat die demoon uitgekom het, kon die stom man weer praat, en die skare was verbaas.^e **15** Maar sommige van hulle het gesê: “Hy dryf die demone uit deur Beël’sesub,^f die heerser van die demone.”^f **16** En om hom te toets, wou ander ’n teken^g uit die hemel van hom hê. **17** Omdat hy geweet het wat hulle dink,^h het hy vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat verdeel is, word verwoes, en ’n huis wat verdeel is, val. **18** As Satan dan ook teen homself draai, hoe sal sy koninkryk bly staan? Want julle sê dat ek die demone deur Beël’sesub uitdryf. **19** As ek die demone deur Beël’sesub uitdryf, deur wie dryf julle volgelinge hulle uit? Daarom sal hulle julle veroordeel. **20** Maar as ek die demone deur God se vingerⁱ uitdryf, het die Koninkryk van God julle werklik ingehaal.^j **21** Wanneer ’n sterk, goed gewapende man sy paleis bewaak, bly sy besittings veilig. **22** Maar wanneer iemand wat sterker is as hy, hom aanval en die oorhand oor hom kry, neem daardie man al sy wapens waarop hy vertrou het en verdeel hy die goed wat hy by hom

11:15 *’n Naam vir Satan.

gevat het. **23** Enigiemand wat nie aan my kant is nie, is teen my, en enigiemand wat nie mens saam met my bymekaar maak nie, dryf hulle uitmekaar.^a

24 "Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens uitkom, trek hy deur waterlose plekke op soek na 'n rusplek, en wanneer hy nie een gevind het nie, sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis waaruit ek getrek het.'^b **25** En wanneer hy daar aankom, sien hy dat die huis skoongevee en versier is. **26** Dan gaan hy en neem hy sewe ander geeste saam wat nog slegter as hy is, en nadat hulle ingegaan het, bly hulle daar. Dan is die uiteinde vir daardie mens erger as sy begin."

27 Terwyl hy hierdie dinge gesê het, het 'n vrou uit die skare na hom toe uitgeroep: "Gelukkig is die baarmoeder wat u gedra het en die borste wat u gevoed het!"^c **28** Maar hy het gesê: "Nee, gelukkig is dié wat die woord van God hoor en dit gehoorsaam!"^d

29 Toe die skare saamstroom, het hy begin sê: "Hierdie geslag is 'n goddelose geslag. Hulle soek 'n teken, maar geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van Jona.^e **30** Want net soos Jona^f 'n teken vir die Nineviete geword het, so sal die Seun van die mens 'n teken vir hierdie geslag wees. **31** Die koningin van die suide^g sal in die oordeel saam met hierdie geslag 'n opstanding kry en sal hulle veroordeel, want sy het van die eindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor. Maar kyk! iemand groter as Salomo is hier.^h **32** Die Nineviete sal in die oordeel saam met hierdie geslag opstaan en sal hulle veroordeel, want die Nine-

HFST. 11

a Mt 12:30

b Mt 12:43-45

c Lu 1:46-48

d De 29:9

Ps 1:1, 2

Ps 112:1

Ps 119:2

Mt 7:21

Jak 1:25

e Mt 12:38-42

Mt 16:4

f Jon 1:17

g 1Kn 10:1

2Kr 9:1

h Mt 12:42

Tweede kol.

a Jon 3:5

b Mt 5:15

Mr 4:21

Lu 8:16

c Mt 6:22, 23

d Mt 15:2

e Mt 23:25, 26

viete het berou gehad as gevolg van wat Jona verkondig het.^a Maar kyk! iemand groter as Jona is hier. **33** Nadat iemand 'n lamp aangesteek het, steek hy dit nie weg nie of sit hy dit nie onder 'n emmer* nie, maar op die lampstander,^b sodat dié wat inkom, die lig kan sien. **34** Die lamp van die liggaam is jou oog. Wanneer jou oog gefokus* is, is jou hele liggaam ook helder,[#] maar wanneer jou oog vol jaloesie[^] is, is jou liggaam ook donker.^c **35** Maak seker dat die lig in jou nie duisternis is nie. **36** As jou hele liggaam dan helder is en geen deel daarvan donker is nie, sal dit so helder wees soos wanneer 'n lamp se strale vir jou lig gee."

37 Toe hy dit gesê het, het 'n Fariseër hom gevra om by hom te kom eet. En hy het ingegaan en sy plek by die tafel ingeneem. **38** Die Fariseër was egter verbaas toe hy sien dat hy nie voor die maaltyd gewas het nie.^{*d} **39** Maar die Here het vir hom gesê: "Ja, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en skottel skoon, maar aan die binnekant is julle vol gierigheid en goddeloosheid.^e **40** Onredelike mense! Hy wat die buitekant gemaak het, het ook die binnekant gemaak, nie waar nie? **41** Maar wanneer julle geskenke aan die armes* gee, moet dit van binne af kom, en alles omtrent julle sal skoon wees. **42** Maar dit sal sleg gaan met julle, Fariseërs, want julle gee die tiende van die kruisement en

11:33 *Of "maatemmer". **11:34** *Of "helder". Lett. "eenvoudig". [#]Of "vol lig". [^]Of "afguns". Lett. "sleg; goddeloos". **11:38** *D.w.s. dat hy hom nie seremonieel gereinig het nie. **11:41** *Of "genadegawes".

van die wynruit* en van elke ander soort kruie,^a maar julle ignoreer die geregtigheid en die liefde vir God! Dit was nodig dat julle hierdie dinge doen, maar sonder om die ander dinge te ignoreer.^b **43** Dit sal sleg gaan met julle, Fariseërs, want julle hou daarvan om die voorste* sitplekke in die sinagoges te hê en om op die markpleine gegroet te word!^c **44** Dit sal sleg gaan met julle, want julle is soos daardie grafte* wat nie mooi gesien kan word nie^d en waarvoor mense loop sonder om dit te besef!”

45 Een van dié wat die Wet goed geken het, het vir hom gesê: “Leermeester, deur hierdie dinge te sê, beledig u ons ook.”

46 Toe het hy gesê: “Dit sal ook sleg gaan met julle wat die Wet goed ken, want julle belaaï die mense met vragte wat moeilik is om te dra, maar julle raak self nie aan die vragte met een van julle vingers nie!”

47 “Dit sal sleg gaan met julle, want julle bou die grafte* van die profete, maar julle voorvaders het hulle doodgemaak!^f

48 Julle is beslis getuies van die dade van julle voorvaders, en tog keur julle dit goed. Hulle het die profete doodgemaak,^g maar julle bou hulle grafte.

49 Daarom het die wysheid van God ook gesê: ‘Ek sal profete en apostels na hulle toe stuur, en hulle sal party van hulle doodmaak en vervolg, **50** sodat hierdie geslag verantwoordelik gehou kan word vir die bloed van al die profete wat van die begin van die mensdom* af

11:42 *’n Plant wat in medisyne gebruik is en om kos te geur. ^aOf “groente”. **11:43** *Of “beste”. **11:44, 47** *Of “gedenkgrafte”. **11:44** *Of “wat nie gemerk is nie”. **11:50** *Of “grondlegging van die wêreld”.

HFST. 11
a Le 27:30

b Mt 23:23, 24
Joh 7:24

c Mt 23:6, 7

d Mt 23:27, 28

e Mt 23:2, 4

f Mt 23:29-31

g Han 7:52
Heb 11:32, 37

Tweede kol.

a Op 18:21, 24

b Ge 4:8, 10

c 2Kr 24:20-22

d Mt 23:13
1Te 2:14-16

e Lu 20:20

HFST. 12

f Mt 16:6
Mr 8:15

g Mt 10:26, 27
Mr 4:22
Lu 8:17

h Joh 15:14

i Han 20:24

j Mt 10:28

k Jes 8:13
Heb 10:31
1Pe 2:17
Op 14:7

uitgestort is,^a **51** van die bloed van Abel^b af tot by die bloed van Sagari’a, wat tussen die altaar en die tempel* doodgemaak is.^c Ja, ek sê vir julle, hierdie geslag sal daarvoor verantwoordelik gehou word.

52 “Dit sal sleg gaan met julle wat die Wet goed ken, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Julle het self nie ingegaan nie, en julle probeer die mense keer wat wil ingaan!”^d

53 En toe hy daar weggaan, het die skrifgeleerdes en die Fariseërs begin om groot druk op hom te plaas en om hom nog baie ander vrae te vra, **54** terwyl hulle gewag het dat hy iets sê wat hulle teen hom kon gebruik.^e

12 Intussen het duisende mense bymekaargekom en daar was so baie van hulle dat hulle mekaar amper vertrap het. Toe het Jesus eers vir sy dissipels gesê: “Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs, wat skynheiligheid is.^f **2** Maar daar is niks wat sorgvuldig weggesteek is wat nie geopenbaar sal word nie, en geen geheim wat nie bekend sal word nie.^g **3** Daarom sal wat julle in die donker sê, in die lig gehoor word, en wat julle in julle huise fluister, van die dakke af verkondig word. **4** Verder sê ek vir julle, my vriende:^h Moenie dié vrees wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie.ⁱ **5** Maar ek sal vir julle wys wie julle moet vrees: Vrees die Een wat nie net die gesag het om dood te maak nie, maar ook die gesag het om in Gehen’na^j te gooi. Ja, ek sê vir julle, vrees Hom.^k **6** Vyf mosies word vir twee muntstukke

11:51 * Lett. “huis”. **12:5** * Sien Woordelys.

van min waarde* verkoop, nie waar nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet[#] nie.^a **7** Maar selfs die hare op julle kop is almal getel.^b Moenie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.^c

8 "Ek sê vir julle: As iemand voor mense sê dat hy my ken,^d sal die Seun van die mens ook voor die engele van God sê dat hy hom ken.^e **9** Maar as iemand voor mense sê dat hy my nie ken nie, sal ek voor die engele van God sê dat ek hom nie ken nie.^f **10** En as iemand 'n woord teen die Seun van die mens sê, sal hy vergewe word, maar as iemand teen die heilige gees laster, sal hy nie vergewe word nie.^g **11** Wanneer hulle julle voor openbare vergaderinge,* regeringsamptenare en owerhede bring, moet julle nie bekommerd wees oor wat julle moet sê om julle te verdedig of hoe julle dit moet sê nie,^h **12** want die heilige gees sal julle in daardie selfde uur die dinge leer wat julle moet sê."ⁱ

13 Toe het iemand in die skare vir Jesus gesê: "Leermees-ter, sê vir my broer om die erfenis met my te deel." **14** Hy het vir hom gesê: "Mens, wie het my as regter aangestel of as die een wat julle erfenis vir julle moet verdeel?" **15** Toe het hy vir hulle gesê: "Pasop en vermy elke vorm van gierigheid,^j want selfs wanneer iemand 'n oorvloed het, hang sy lewe nie van sy besittings af nie."^k **16** Toe het hy vir hulle 'n illustrasie vertel en gesê: "Die land van 'n ryk man het 'n goeie opbrengs gelewer. **17** Hy het vir homself

HFST. 12

a Mt 10:29

b Mt 10:30
Lu 21:18c Mt 10:31
Lu 12:24

d Ro 10:9

e Mt 10:32, 33

f Mr 8:38
Lu 9:26
2Ti 2:12
1Jo 2:23g Mt 12:31, 32
Mr 3:28, 29h Mt 10:19, 20
Mr 13:11
Lu 21:14, 15i Eks 4:12
Han 6:8, 10j Eks 20:17
De 5:21
Kol 3:5

k 1Ti 6:7

Tweede kol.

a Jak 4:13-16

b Ps 49:16-19
Spr 27:1c Pr 11:9
Mt 6:20
1Ti 6:17-19
Jak 2:5d Mt 6:25-30
Flp 4:6e Job 38:41
Ps 147:9f Mt 6:26
Lu 12:7

g Mt 6:34

h 1Kn 10:4-7

begin sê: 'Wat moet ek doen nou dat ek geen plek het om my oes te versamel nie?' **18** Toe het hy gesê: 'Ek weet! Ek sal my voorraadsure afbreek en groter voorraadsure bou,^a en ek sal al my graan en al my goedere daar versamel. **19** Ek sal vir myself sê: "Jy* het baie goeie dinge weggesit vir die jare wat voorlê. Ontspan, eet, drink, geniet die lewe."^b **20** Maar God het vir hom gesê: 'Onredelike mens, vanaand sal jy sterf.* Wie gaan dan die dinge kry wat jy opgegaan het?'^b **21** So gaan dit met die mens wat vir homself skatte opgaan, maar nie ryk is teenoor God nie."^c

22 Toe het hy vir sy dissipels gesê: "Daarom sê ek vir julle: Hou op om bekommerd te wees oor julle lewens, oor wat julle sal eet, of oor julle liggame, oor wat julle sal aantrek.^d **23** Want die lewe is meer werd as kos, en die liggaam is meer werd as klere. **24** Dink aan die kraaie: Hulle saai nie saad nie en hulle oes nie. Hulle het nie 'n skuur of 'n stoorkamer nie, en tog sorg God dat hulle kos het.^e Is julle nie baie meer werd as voëls nie?'^f **25** Wie van julle kan 'n el* by sy lewe voeg deur hom te bekommer? **26** As julle dan nie eers so 'n klein dingetjie kan doen nie, hoekom sal julle bekommerd wees oor al die ander dinge?^g **27** Let op hoe die lelies groei: Hulle sloof hulle nie af nie en hulle spin ook nie, maar ek sê vir julle dat nie eers Salomo met al sy prag en rykdom soos een van hulle geklee was nie.^h **28** As God dan die plantegroei in die veld so klee, wat vandag hier is en môre in 'n oond gegooi word,

12:6 *Lett. "twee assarions". Sien Aanh. B14. [#]Of "miskegk". 12:11 *Of moontlik "voor sinagoges". 12:15 *Of "hebsug".

12:19 *Of "Siel, jy". 12:20 *Of "eis hulle jou siel van jou". 12:25 *Sien Aanh. B14.

hoeveel te meer sal hy julle klee! Waar is julle geloof?

29 Hou dus op om te soek wat julle sal eet en wat julle sal drink, en hou op om angstig en gespanne te wees.^a **30** Want al hierdie dinge jaag die nasies van die wêreld gretig na, maar julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het.^b **31** Hou eerder aan om sy Koninkryk te soek, en hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.^c

32 "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie,^d want julle Vader het dit goedgevind om die Koninkryk aan julle te gee.^e **33** Verkoop julle besittings en gee geskenke aan die armes.^f Maak vir julle geldsakke wat nie stukkend raak nie, dit wil sê 'n skat in die hemel wat nooit op-raak nie,^g waar geen dief naby kom nie en waar geen mot verteer nie. **34** Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

35 "Sorg dat julle aangetrek en gereed is,^h en laat julle lampe brand,ⁱ **36** en julle moet soos mense wees wat vir hulle meester wag om van die huweliksfees af^j terug te kom,^k sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak wanneer hy kom klop. **37** Gelukkig is daardie slawe wanneer die meester kom en sien dat hulle wakker is! Ek verseker julle: Hy sal 'n voorskoot aantrek* en hulle 'n plek by die tafel laat inneem en hulle kom bedien. **38** En gelukkig is hulle as hy in die tweede waak* of selfs in die derde waak* kom en sien dat hulle gereed is! **39** Maar weet dit: As die huis-

12:33 *Of "genadegawes". **12:35** *Lett. "Laat julle lendene omgord wees". **12:37** *Of "hom omgord". **12:38** *D.w.s. van omtrent 09:00 tot middernag. *D.w.s. van middernag tot omtrent 03:00.

HFST. 12

a Mt 6:31, 32

b 2Kr 16:9
Flp 4:19

c Ps 34:10
Mt 6:33
1Ti 4:8

d Joh 10:14

e Da 7:27
Lu 22:28-30
Heb 12:28
Jak 2:5
Op 1:6

f Mt 19:21
Lu 18:22
Han 2:45
Han 4:34, 35

g Mt 6:20, 21
Lu 16:9
1Ti 6:18, 19

h Ef 6:14
1Pe 1:13

i Mt 25:1
Flp 2:15

j Mt 25:5

k Mr 13:35

Tweede kol.

a Mt 24:43
1Te 5:2
2Pe 3:10
Op 16:15

b Mt 24:44
Mt 25:13
Op 3:3

c Mt 24:45-47

d Mt 24:48-51

e Jak 1:22
Jak 4:17

f Mt 25:29
Joh 15:2

eienaar gewees het hoe laat* die dief kom, sou hy nie toegelaat het dat daar by sy huis ingebreek word nie.^a **40** Julle moet julle ook gereed hou, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat julle nie verwag nie.^b

41 Toe het Petrus gevra: "Here, vertel u hierdie illustrasie net vir ons of ook vir almal?"

42 En die Here het gesê: "Wie is werklik die getroue bestuurder,* die verstandige,[#] wat sy meester oor sy huisknigte^Δ sal aanstel om altyd vir hulle hulle deel van die voedsel op die regte tyd te gee?^c **43** Gelukkig is daardie slaaf as sy meester hom daarmee besig vind wanneer hy kom! **44** Ek vertel julle die waarheid: Sy meester sal hom oor al sy besittings aanstel. **45** Maar as daardie slaaf oit in sy hart sou sê: 'My meester vat lank om te kom,' en hy die diensknigte en die diensmeisies begin slaan en begin eet en drink en dronk word,^d **46** sal die meester van daardie slaaf op 'n dag en 'n uur kom wanneer hy hom nie verwag nie, en hy sal hom baie swaar straf en hom 'n plek gee by die mense wat nie getrou was nie. **47** Dan sal die slaaf wat die wil van sy meester verstaan het maar nie gereedgemaak het of gedoen het wat hy gevra het nie, baie slaie kry.^e **48** Maar die een wat nie verstaan het nie en tog dinge gedoen het wat slaie verdien, sal min slaie kry. Ja, van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie vereis word, en van die een wat in beheer van baie geplaas is, sal meer as gewoonlik vereis word.^f

49 "Ek het gekom om 'n vuur op die aarde te maak, en waar-

12:39 *Of "in watter uur". **12:42** *Of "huisbestuurder". #Of "die wyse". ΔOf "bediendes".

voor kan ek nog wens as dit reeds aangesteek is? **50** Ja, ek het 'n doop om mee gedoop te word, en ek sal angstig bly totdat dit verby is!^a **51** Dink julle ek het gekom om vrede op die aarde te bring? Ek sê vir julle: Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar verdeeldheid.^b **52** Want van nou af sal daar vyf in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie. **53** Hulle sal verdeeld wees: pa teen seun en seun teen pa, ma teen dogter en dogter teen ma, skoonma teen skoonogter en skoonogter teen skoonma.”^c

54 Toe het hy ook vir die skare gesê: “Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: ‘Daar kom 'n storm,’ en dan gebeur dit. **55** En wanneer julle sien dat 'n suidewind waai, sê julle: ‘Daar sal 'n hittegolf wees,’ en dan gebeur dit. **56** Skynheiliges, julle kan sien hoe die weer gaan wees deur na die aarde en die lug te kyk, maar hoekom kan julle nie sien wat in hierdie tyd plaasvind nie?^d **57** Hoekom oordeel julle nie ook vir julleself wat regverdig is nie? **58** Wanneer jy byvoorbeeld na 'n heerser toe gaan met iemand wat 'n saak teen jou gemaak het, moet jy op pad moeite doen om die saak met hom op te los. Anders sal hy jou dalk voor die regter sleep, en die regter sal jou aan die wag oorlewer, en die wag sal jou in die tronk gooi.^e **59** Ek kan jou verseker dat jy beslis nie daar sal uitkom totdat jy jou laaste sent* betaal het nie.”

13 In daardie tyd was daar sommige teenwoordig wat vir hom vertel het van die Galileërs wat deur Pilatus dood-

12:59 *Let. “die laaste lepton”. Sien Aanh. B14.

HFST. 12
a Joh 12:27

b Mt 10:34-36
Joh 7:41, 43
Joh 9:16

c Mi 7:6

d Mt 16:2, 3
Lu 19:42

e Mt 5:25, 26

Tweede kol.

HFST. 13
a Han 3:19

b Mt 21:19
Mr 11:13

c 2Pe 3:9

d Jes 61:1
Lu 4:18

gemaak is terwyl hulle offerandes geoffer het. **2** Hy het vir hulle gesê: “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat hierdie dinge met hulle gebeur het? **3** Nee, sê ek vir julle, maar tensy julle berou het, sal julle almal net so vernietig word.^a **4** Of die 18 wat dood is toe die toring in Silo'am op hulle geval het – dink julle dat hulle groter skuld gehad het as al die ander mense wat in Jerusalem woon? **5** Nee, sê ek vir julle. Maar as julle nie berou toon nie, sal julle almal vernietig word, net soos hulle.”

6 Toe het hy hierdie illustrasie vertel: “'n Man het 'n vyboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het vrugte daaraan kom soek, maar niks gekry nie.^b **7** Toe het hy vir die wingerdarbeider gesê: ‘Dit is nou al drie jaar dat ek vrugte aan hierdie vyboom kom soek, maar niks kry nie. Kap dit af! Hoekom moet ek dit in die grond los sonder dat dit vrugte dra?’ **8** Hy het hom geantwoord: ‘Meester, los dit vir nog 'n jaar, totdat ek daarom spit en mis daarom gooi. **9** As dit dan in die toekoms vrugte dra, is dit goed en wel, maar so nie, kan u dit laat afkap.’”^c

10 Op die Sabbat het hy mense in een van die sinagoges geleer. **11** En daar was 'n vrou wat 18 jaar lank 'n gees in haar gehad het wat haar siek gemaak het,* en sy was krom getrek en kon glad nie regop staan nie. **12** Toe Jesus haar sien, het hy vir haar gesê: “Vrou, jy is van jou swakheid bevry.”^d **13** Hy het sy hande op haar gelê, en sy het onmiddellik regop gestaan en God begin loof. **14** Maar

13:11 *Of “'n gees van swakheid gehad het”.

die hoofbeampte van die sinagoge was kwaad omdat Jesus haar op die Sabbat genees het, en daarom het hy vir die skare gesê: “Daar is ses dae waarop werk gedoen behoort te word.^a Kom dan op daardie dae om genees te word, nie op die Sabbatdag nie.”^b **15** Maar die Here het vir hom gesê: “Skyneelikes,^c maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy bul of sy donkie uit die stal los en lei hom weg om hom iets te gee om te drink nie?”^d **16** Hierdie vrou is ’n dogter van Abraham, en sy was 18 jaar lank deur Satan gevange gehou. Moet sy dan nie op die Sabbatdag van hierdie boeie verlos word nie?” **17** Toe hy hierdie dinge sê, het al sy teenstanders skaam gekry, maar die hele skare het bly geword oor al die wonderlike dinge wat hy gedoen het.^e

18 Toe het hy verder gesê: “Soos wat is die Koninkryk van God, en waarmee kan ek dit vergelyk? **19** Dit is soos ’n mosterdsaadjie wat ’n man in sy tuin geplant het, en dit het gegroei en ’n boom geword, en die voëls van die hemel het in sy takke nes gemaak.”^f

20 Hy het weer gesê: “Waarmee kan ek die Koninkryk van God vergelyk? **21** Dit is soos suurdeeg wat ’n vrou met drie groot mate* meel gemeng het, totdat al die deeg gegis het.”^g

22 Hy het van stad tot stad en van dorpie tot dorpie gereis terwyl hy mense geleer het en verder na Jerusalem gereis het.

23 En ’n man het vir hom gevra: “Here, is daar min mense wat gered word?” Hy het vir hulle gesê: **24** “Span julle kragtige in om deur die nou deur in te gaan,^h want ek sê vir julle dat

13:21 *Lett. “sea”. ’n Sea was gelyk aan 7,33 l. Sien Aanh. B14.

HFST. 13
 a Eks 20:9, 10
 Eks 35:2
 De 5:13, 14
 b Mt 12:10
 Mr 3:2
 Joh 5:15, 16
 c Mt 23:27, 28
 Lu 12:1
 d Lu 14:5
 e Lu 9:43
 f Mt 13:31, 32
 Mr 4:30-32
 g Mt 13:33
 h Jes 55:6
 Mt 7:13, 14
 Flp 3:12-14
 1Ti 6:12
 Tweede kol.
 a Lu 6:46
 b Mt 7:22, 23
 c Mt 8:11, 12
 d Mt 19:30
 Mr 10:31
 e Mt 16:21

baie sal probeer ingaan, maar hulle sal dit nie kan doen nie. **25** Wanneer die huiseienaar opstaan en die deur sluit, sal julle buite staan en aan die deur klop en sê: ‘Here, maak vir ons oop.’^a Maar hy sal antwoord: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.’ **26** Dan sal julle begin sê: ‘Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en u het die mense in ons hoofstrate geleer.’^b **27** Maar hy sal vir julle sê: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Gaan weg van my af, julle wat onregverdige dinge doen!’ **28** Daar sal julle huil en op julle tande kners wanneer julle sien dat Abraham, Isak, Jakob en al die profete in die Koninkryk van God is, maar dat julle buite gegooi is.^c **29** Mense sal ook uit die ooste en die weste en die noorde en die suide kom, en hulle sal ’n plek by die tafel inneem in die Koninkryk van God. **30** Daar is dié wat laaste is wat eerste sal wees, en daar is dié wat eerste is wat laaste sal wees.”^d

31 In daardie selfde uur het van die Fariseërs nader gekom en vir hom gesê: “Gaan hier weg, want Herodes wil u doodmaak.” **32** En hy het vir hulle gesê: “Gaan sê vir daardie jakkals: ‘Kyk! Vandag en môre dryf ek demone uit en genees ek mense, en op die derde dag sal ek klaar wees.’ **33** Maar ek moet in elk geval vandag, môre en oormôre verder gaan, want dit kan nie gebeur dat ’n profeet buite Jerusalem doodgemaak word nie.*^e **34** Jerusalem, Jerusalem, wat die profete doodmaak en die mense wat na haar gestuur is, met klippe

13:33 *Of “want dit is ondenkbaar dat ’n profeet buite Jerusalem doodgemaak sal word”.

doodgooi^a – hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak! Maar julle wou my nie toelaat nie.^b **35** Kyk! Julle huis sal verlate word.^c Ek sê vir julle: Julle sal my glad nie sien nie totdat julle sê: 'Geseënd is die een wat in Jehovah* se naam kom!'"^d

14 By een geleentheid het hy op die Sabbat 'n maaltyd in die huis van een van die leiers van die Fariseërs gaan eet, en hulle het hom fyn dopgehou. **2** Daar was 'n man voor hom wat aan watersug* gely het. **3** Toe het Jesus vir die Fariseërs en dié wat die Wet goed geken het, gevra: "Mag 'n mens iemand op die Sabbat genees of nie?"^e **4** Maar hulle het nie geantwoord nie. Toe het hy die man geneem, hom gesond gemaak en weggestuur. **5** Daarna het hy vir hulle gevra: "Wie van julle sal nie onmiddellik sy seun of bul uit 'n put trek as hy op die Sabbatdag daarin val nie?"^f **6** En hulle kon niks hierop antwoord nie.

7 Toe hy sien dat die mense wat genooi is, vir hulleself die beste plekke kies, het hy vir hulle 'n illustrasie vertel.^g Hy het gesê: **8** "Wanneer iemand jou na 'n huweliksfees nooi, moet jy nie die beste plek inneem nie.^h Miskien is iemand belangriker as jy ook genooi. **9** Dan sal die persoon wat julle al twee genooi het, vir jou kom sê: 'Gee jou plek vir hierdie man.' Dan sal jy skaam kry wanneer jy die verste* plek moet inneem. **10** Maar wanneer jy genooi word, moet jy die verste plek gaan inneem. Wanneer die man wat jou genooi het, dan

13:35 *Sien Aanh. A5. **14:2** *Of "edeem", 'n ophoping van vog in die liggaam. **14:9** *Lett. "laagste".

HFST. 13

a 2Kr 24:20, 21
Ne 9:26

b Mt 23:37

c Le 26:31
1Kn 9:7, 8
Jer 12:7
Jer 22:5d Ps 118:26
Mt 23:38, 39

HFST. 14

e Lu 6:9
Joh 7:23f Eks 23:5
De 22:4
Mt 12:11
Lu 13:15g Mt 23:2, 6
Lu 11:43
Lu 20:46

h Spr 25:6, 7

Tweede kol.

a Spr 15:33
Jak 4:10
1Pe 5:5b Spr 29:23
Mt 23:12
Lu 18:14
Jak 4:6c Job 31:16, 22
Spr 3:27, 28d Joh 5:28, 29
Joh 11:24
Han 24:15

e Mt 22:2

f Mt 22:3

g Mt 22:5

kom, sal hy vir jou sê: 'Vriend, kom neem 'n plek in wat nader is.' Dan sal jy voor al die ander gaste geëer word.^a **11** Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word."^b

12 Daarna het hy ook vir die man wat hom genooi het, gesê: "Wanneer jy 'n middagete of 'n aandete hou, moet jy nie jou vriende, jou broers, jou familie-ede of jou ryk bure nooi nie. Anders nooi hulle jou dalk weer, en dan word jy daarvoor terugbetaal. **13** Maar wanneer jy 'n feesmaal hou, moet jy die armes, die kreupeles, die verlamdes en die blindes nooi,^c **14** en jy sal gelukkig wees, want hulle het niks waarmee hulle jou kan terugbetaal nie. Want jy sal in die opstanding^d van die regverdiges terugbetaal word."

15 Toe een van die ander gaste hierdie dinge hoor, het hy vir Jesus gesê: "Gelukkig is die een wat aan tafel gaan* in die Koninkryk van God."

16 Jesus het vir hom gesê: "‘n Man het 'n groot aandete gehou,^e en hy het baie mense genooi. **17** Hy het sy slaaf op die uur van die aandete uitgestuur om vir dié wat genooi is, te sê: 'Kom, want alles is nou gereed.' **18** Maar hulle almal het verskonings begin maak.^f Die eerste een het vir hom gesê: 'Ek het 'n landery gekoop en moet daarna gaan kyk. Ek sal ongelukkig nie kan kom nie.' **19** En 'n ander een het gesê: 'Ek het vyf paar beeste gekoop en moet hulle gaan ondersoek. Ek sal ongelukkig nie kan kom nie.'^g **20** Nog 'n ander een het gesê: 'Ek het onlangs getrou, en daarom kan ek nie kom nie.' **21** Toe het die slaaf hierdie dinge vir sy meester kom vertel. Die meester van

14:15 *Lett. "brood eet".

die huis het kwaad geword en vir sy slaaf gesê: 'Gaan gou na die hoofstrate en die gangetjies van die stad, en bring die armes, die kreupeles, die blindes en die verlamdes hier in.'

22 Toe die slaaf terugkom, het hy gesê: 'Meester, ek het gedoen wat u beveel het, en daar is nog steeds plek.' **23** Die meester het vir die slaaf gesê: 'Gaan na die hoofpaaië en die kleiner paadjies en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word.'^a **24** Want ek sê vir julle: Nie een van daardie mense wat genooi is, sal my aandete proe nie.'"^b

25 En groot groepe mense het saam met hom gereis, en hy het omgedraai en vir hulle gesê: **26** "As iemand na my toe kom en nie sy pa en ma en vrou en kinders en broers en susters, ja, en selfs sy eie lewe haat* nie,^c kan hy nie my dissipel wees nie."^d **27** Elkeen wat nie sy folterpaal* dra en agter my aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie.^e **28** Byvoorbeeld, wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan bereken nie eers die koste om te sien of hy genoeg het om dit te voltooi nie? **29** Anders lê hy miskien die fondament daarvan, maar hy kan dit nie klaarmaak nie, en almal wat dit sien, sal hom begin spot **30** en sê: 'Hierdie man het begin bou, maar hy kon nie klaarmaak nie.' **31** En voordat 'n koning gaan oorlog voer, sal hy tog eers gaan sit en met sy raadgewers bespreek of hy hom met sy 10 000 soldate teen die ander koning kan verdedig, wat hom met 20 000 soldate wil aanval. **32** As hy dit nie kan doen nie, sal hy 'n groep ambassadeurs uitstuur terwyl die ander

14:26 *Of "minder liefhet". 14:27 *Sien Woordelys.

HFST. 14

a Mt 22:9, 10

b Mt 21:43
Mt 22:8

c Op 12:11

d Mt 10:37
Lu 18:29, 30
Joh 12:25

e Mt 16:24
Mr 8:34
Lu 9:23

Tweede kol.

a Mt 19:27
Lu 9:62
Flp 3:7, 8

b Mt 5:13
Mr 9:50
Kol 4:6

c Mt 13:43
Mr 4:9
Op 2:29

HFST. 15

d Mt 9:10, 11
Mr 2:15, 16
Lu 5:29, 30
1Ti 1:15

e Ese 34:11, 16
Mt 18:12, 13
Lu 19:10

f Mt 18:14
Ro 12:15
1Pe 2:25

g Ese 33:11
Lu 5:32

een nog ver weg is en sal hy vra om vrede te maak. **33** Net so kan julle daarvan seker wees dat niemand my dissipel kan wees as hy nie al sy besittings opgee nie.*^a

34 "Sout is beslis goed. Maar as die sout sy krag verloor, hoe sal dit weer sout gemaak word?"^b **35** Dit kan nie as grond of as bemesting gebruik word nie. Mense gooi dit weg. Laat die een wat ore het om te luister, luister."^c

15 Al die belastingvaarders* en die sondaars het om hom bly bymekaarkom om na hom te luister.^d **2** En die Fari-seërs sowel as die skrifgeleerdes het aanhoudend gekla en gesê: "Hierdie man verwelkom sondaars en eet saam met hulle." **3** Toe het hy vir hulle die volgende illustrasie vertel: **4** "Sê nou iemand onder julle het 100 skape en een van hulle raak verlore. Sal hy nie die 99 in die wildernis los en die een wat verlore is, gaan soek totdat hy hom vind nie?"^e **5** En wanneer hy hom gevind het, is hy baie bly en tel hy hom op sy skouers. **6** Dan gaan hy huis toe en roep hy sy vriende en sy bure bymekaar en sê hy vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gevind wat verlore was.'^f **7** Ek sê vir julle: Net so sal daar in die hemel meer vreugde wees oor een sondaar wat berou getoon het^g as oor 99 regverdiges wat geen berou nodig het nie.

8 "Of sê nou 'n vrou het tien dragmas* en sy verloor een van hulle. Sal sy nie 'n lamp aansteek en haar huis uitvee en oral daarna soek totdat sy dit

14:33 *Lett. "nie van al sy besittings afskeid neem nie". 15:1 *Persone wat belasting vir die regering invorder. 15:8 *Sien Aanh. B14.

vind nie? **9** En wanneer sy dit gevind het, roep sy haar vriendinne en buurvrou bymekaar en sê sy vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het die dragma* gevind wat ek verloor het.' **10** Ek sê vir julle: Net so ontstaan daar vreugde onder die engele van God oor een sondaar wat berou toon."^a

11 Toe het hy gesê: "'n Man het twee seuns gehad. **12** En die jongste seun het vir sy pa gesê: 'Pa, gee vir my die deel van die eiendom wat ek gaan erf.' Toe het hy sy besittings tussen hulle verdeel. **13** 'n Paar dae later het die jongste seun al sy besittings bymekaar-gemaak en na 'n ver land gereis, en daar het hy alles uitgemors deur 'n wilde* lewe te lei. **14** Nadat hy al sy geld uitgegee het, was daar 'n groot hongersnood in daardie hele land, en hy het begin swaarkry. **15** Hy het selfs vir een van die inwoners van daardie land begin werk, wat hom na sy veld gestuur het om varke op te pas.^b **16** En hy het gewens dat hy van die peule* kon eet wat die varke geëet het, maar niemand het vir hom enigiets gegee nie.

17 "Toe hy tot sy sinne kom, het hy gesê: 'Hoeveel van my pa se gehuurde werkers het meer as genoeg brood, terwyl ek hier van die honger doodgaan! **18** Ek sal opstaan en na my pa toe reis en vir hom sê: "Pa, ek het teen die hemel en teen Pa gesondig. **19** Ek verdien nie meer om Pa se seun genoem te word nie. Maak my soos een van Pa se gehuurde werkers.'" **20** En hy het vertrek en na sy pa toe gegaan. Terwyl hy nog 'n hele ent weg was, het sy pa hom

HFST. 15

a Mt 9:13

Mr 2:17

b Le 11:7,8

Tweede kol.

a 2Kr 7:14

Ps 32:5

Ps 51:4

Spr 28:13

Lu 18:13

1Jo 1:9

b Ro 6:13

Ef 2:4,5

gesien en baie jammer vir hom gevoel, en hy het gehardloop en hom omhels en hom gesoen. **21** Toe het die seun vir hom gesê: 'Pa, ek het teen die hemel en teen Pa gesondig.^a Ek verdien nie meer om Pa se seun genoem te word nie.' **22** Maar die pa het vir sy slawe gesê: 'Maak gou! Bring 'n kleed, die beste kleed, en trek dit vir hom aan, en sit 'n ring aan sy hand en sandale aan sy voete. **23** En bring die vetgemaakte kalf, slag dit en laat ons eet en feesvier, **24** want my seun was dood en het weer lewend geword.^b Hy was verlore en is gevind.' Toe het hulle vrolik feesgevier.

25 "Sy oudste seun was op die landery, en toe hy daarvandaan terugkeer en naby die huis kom, het hy gehoor hoe daar musiek gespeel en gedans word. **26** Toe het hy een van die knegte geroep en gevra wat aan die gang is. **27** Die kneg het vir hom gesê: 'U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond* teruggekry het.' **28** Maar hy het kwaad geword en geweier om in te gaan. Toe het sy pa uitgekóm en hom begin smeek om in te kom. **29** Hy het sy pa geantwoord: 'Kyk! Al hierdie jare het ek Pa soos 'n slaaf gedien, en ek was nog nooit ongehoorsaam aan Pa nie, en tog het Pa nog nooit vir my 'n boklam gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. **30** Maar die oomblik toe hierdie seun wat Pa se geld saam met prostitute gemors* het, hier aankom, het Pa die vetgemaakte kalf vir hom geslag.' **31** Toe het die pa vir hom gesê: 'My seun, jy was nog altyd by my, en alles wat myne

15:9 *Sien Aanb. B14. 15:13 *Of "losbandige; roekelose". 15:16 *Lett. "karobpeule".

15:27 *Of "veilig". 15:30 *Lett. "verslind".

is, is joune. **32** Maar ons moes eenvoudig feesvier en bly wees, want hierdie broer van jou was dood maar het lewend geword, en hy was verlore en is gevind.”

16 Toe het hy ook vir die dissipels gesê: “’n Ryk man het ’n bestuurder* gehad wat daarvan beskuldig is dat hy sy meester se huishouding swak bestuur. **2** Toe het hy hom geroep en vir hom gesê: ‘Wat hoor ek omtrent jou? Ek wil ’n verslag hê van wat jy gedoen het, want jy sal nie meer my huis bestuur nie.’ **3** Toe het die bestuurder vir homself gesê: ‘Wat gaan ek doen? Want my meester gaan my nie meer toelaat om sy huis te bestuur nie. Ek is nie sterk genoeg om te spit nie, en ek is te skaam om te bedel. **4** A! Ek weet wat ek sal doen sodat mense my in hulle huise sal verwelkom wanneer ek nie meer die bestuurder is nie.’ **5** Toe het hy elkeen wat sy meester iets geskuld het, na hom toe laat kom. Hy het vir die eerste een gevra: ‘Hoeveel skuld jy my meester?’ **6** Hy het geantwoord: ‘Honderd maat* olyfolie.’ Hy het vir hom gesê: ‘Neem jou skuldbewys terug en gaan sit en skryf gou 50.’ **7** Daarna het hy vir ’n ander een gevra: ‘En jy, hoeveel skuld jy?’ Hy het gesê: ‘Honderd groot maat* koring.’ Hy het vir hom gesê: ‘Neem jou skuldbewys terug en skryf 80.’ **8** En sy meester het die bestuurder geprys, want al was hy onregverdig,* het hy met praktiese wysheid[#] opgetree. Want die kinders van

Tweede kol.

HFST. 16

a Joh 12:36
Ef 5:8
1Te 5:5

b Mt 19:21
1Ti 6:17

c Mt 25:34
Lu 12:20, 21

d Lu 12:48

e Mt 6:24

f Jes 53:3

g Mt 6:2
Mt 23:27, 28
Lu 18:9

h 1Sa 16:7
1Kr 28:9
2Kr 6:30

i 1Pe 5:5

j Mt 11:12, 13

hierdie wêreld* is in ’n praktiese opsig wyser teenoor mekaar[#] as wat die kinders van die lig is.^a

9 “Ek sê ook vir julle: Maak vir julle vriende deur middel van die rykdom van hierdie onregverdige wêreld,*^b sodat hulle julle in die ewige woonplekke sal ontvang wanneer hierdie rykdom wegval.^c **10** Hy wat in die minste getrou is, is ook in baie getrou, en hy wat in die minste onregverdig is, is ook in baie onregverdig. **11** As julle dan nie getrou was in verband met die rykdom van hierdie onregverdige wêreld* nie, wie sal aan julle toevertrou wat waar is? **12** En as julle nie getrou was in verband met wat aan iemand anders behoort nie, wie sal vir julle iets gee?^d **13** Niemand kan ’n slaaf vir twee meesters wees nie, want hy sal die een haat en die ander een liefhê, of hy sal lojaal wees aan die een en die ander een nie kan verdra nie. Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.”^e

14 Die Fariseërs, wat lief was vir geld, het na al hierdie dinge geluister, en hulle het hom begin uitlag.^f **15** Hy het toe vir hulle gesê: “Julle gee voor dat julle regverdig is,^g maar God ken julle harte.^h Want wat mense as belangrik beskou, is iets walglik in God se oë.ⁱ

16 “Die Wet en die woorde van die profete is bekend gemaak totdat Johannes op die toneel verskyn het. Van toe af word die Koninkryk van God as goeie nuus bekend gemaak, en alle soorte mense streef daarna om dit te bereik.^j **17** Ja, dit is makliker vir hemel en aarde

16:8 *Of “stelsel van dinge”. Sien Woordelys. [#]Lett. “teenoor hulle eie geslag”. **16:9, 11** [#]Lett. “die onregverdige rykdom”.

16:1 *Of “huisbestuurder”. 16:6 *Of “bat”. ’n Bat was gelyk aan 22 l. Sien Aanb. B14. 16:7 *Of “Honderd kor”. ’n Kor was gelyk aan 220 l. Sien Aanb. B14. 16:8 *Of “oneerlik”. [#]Of “verstandig; met onderskeidingsvermoë”.

om te verdwyn as dat selfs een deeltjie van 'n letter van die Wet nie vervul sal word nie.^a

18 "Enigiemand wat van sy vrou skei en met iemand anders trou, pleeg egbreuk, en enigiemand wat met 'n vrou trou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk.^b

19 "Daar was 'n ryk man wat altyd duur klere gedra het, en hy het van dag tot dag die lewe geniet en in weelde gelewe. **20** Maar 'n bedelaar met die naam La'sarus, wat vol swere was, is altyd by sy poort neergesit **21** en wou graag eet van die dinge wat van die ryk man se tafel afgeval het. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. **22** Later het die bedelaar gesterf, en die engele het hom weggedra na 'n plek langs* Abraham.

"Die ryk man het ook gesterf en is begrawe. **23** En in die Graf* het hy opgekyk terwyl hy in pyn was, en hy het Abraham in die verte gesien en La'sarus, wat langs hom[#] is. **24** Toe het hy geroep en gesê: 'Vader Abraham, betoon genade aan my, en stuur La'sarus om die punt van sy vinger in water te steek en my tong af te koel, want ek is in pyn in hierdie vlamme vuur.' **25** Maar Abraham het gesê: 'Kind, onthou dat jy in jou lewe baie goeie dinge geniet het, terwyl La'sarus slegte dinge ontvang het. Nou word hy egter hier vertroos, maar jy is in pyn. **26** En behalwe dit alles is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat niemand van hier af na julle toe kan oorgaan nie en ook niemand van daar af na ons toe kan kom nie.' **27** Toe het hy gesê: 'In

16:22 *Lett. "die boesemposisie van".
16:23 *Of "Hades". Sien Woordelys.
"Lett. "in sy boesem".

HFST. 16
a Mt 5:17,18

b Mt 5:32
Mt 19:9
Mr 10:11,12

Tweede kol.

a De 18:18
Lu 24:25-27

b Joh 5:46

HFST. 17

c Mt 18:6
Mr 9:42

d Spr 17:10

e Le 19:17
Mt 18:15

f Jes 55:7
Mt 6:12
Mt 18:21,22
Kol 3:13
1Pe 4:8

g Mr 9:23,24
Heb 12:2

h Mt 17:20
Mt 21:21
Mr 11:23

daardie geval vra ek u, vader, om hom na die huis van my pa te stuur **28** om vir my vyf broers 'n deeglike getuienis te gee sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.' **29** Maar Abraham het gesê: 'Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.'^a **30** Toe het hy gesê: 'Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle berou toon.' **31** Maar hy het vir hom gesê: 'As hulle hulle nie aan die woorde van Moses en die profete steur nie,^b sal hulle ook nie oortuig word as iemand uit die dood opstaan nie.'"

17 Toe het hy vir sy dissipels gesê: "Dit is onvermydelik dat daar struikelblokke sal kom. Maar dit sal sleg gaan met die een wat dit laat kom! **2** Dit sal vir hom beter wees as 'n meulsteen om sy nek gehang word en hy in die see gegooi word as dat hy een van hierdie kleintjies laat struikel.^c **3** Wees versigtig. As jou broer 'n sonde pleeg, wys hom tereg,^d en as hy berou toon, vergewe hom.^e **4** Selfs as hy sewe keer per dag teen jou sondig en sewe keer na jou toe terugkom en sê: 'Ek het berou,' moet jy hom vergewe."^f

5 Die apostels het vir die Here gesê: "Gee ons meer geloof."^g **6** Toe het die Here gesê: "As julle geloof gehad het wat so groot soos 'n mosterd-saadjie is, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: 'Trek jou wortels uit die grond uit en plant jouself in die see!' en die boom sou julle gehoorsaam."^h

7 "Sê nou iemand het 'n slaaf wat ploeg of die kudde oppas. Sal hy vir hom sê: 'Kom gou hier en eet iets' wanneer hy van die land af inkom? **8** Nee, hy sal

eerder vir hom sê: 'Maak iets vir my gereed vir aandete, en sit 'n voorskoot aan en bedien my totdat ek klaar geëet en gedrink het, en daarna kan jy eet en drink.' **9** Hy sal tog nie dankbaar wees teenoor die slaaf omdat hy al sy opdragte uitgevoer het nie, of hoe? **10** Net so moet julle, wanneer julle al julle opdragte uitgevoer het, sê: 'Ons is nikswerd slawe. Wat ons gedoen het, is wat ons behoort te gedoen het.'^a

11 Terwyl hy op pad was na Jerusalem het hy deur die grensgebied van Samari'a en Galile'a gereis. **12** Toe hy in 'n dorpie ingaan, het tien melaatse mans hom gesien, maar hulle het op 'n afstand gestaan.^b

13 Hulle het uitgeroep: "Jesus, Onderrigter, betoon genade aan ons!" **14** Toe hy hulle sien, het hy vir hulle gesê: "Gaan wys julle vir die priesters."^c En terwyl hulle weggegaan het, is hulle genees.^d

15 Een van hulle het teruggedraai en God met 'n harde stem gelooft toe hy sien dat hy genees is. **16** En hy het voor Jesus se voete neergeval met sy gesig na die grond toe en hom bedank. Wat meer is, hy was 'n Samaritaan.^e

17 Jesus het vir hom gevra: "Al tien is genees,^f nie waar nie? Waar is die ander nege dan? **18** Het niemand anders behalwe hierdie man van 'n ander nasie teruggedraai om God te eer nie?"

19 Hy het toe vir hom gesê: "Staan op en gaan. Jou geloof het jou gesond gemaak."^f

20 Toe die Fariseërs vir hom gevra het wanneer die Koninkryk van God kom,^g het hy hulle geantwoord: "Die Koninkryk van God kom nie op 'n opvallende manier nie. **21** En men-

- HFST. 17
- a 1Kor 9:16
- b Le 13:45, 46
- c Le 14:2-4
De 24:8
Mt 8:3, 4
Lu 5:13, 14
- d 2Kn 5:1, 14
- e 2Kn 17:24
Joh 4:9
- f Mt 9:22
Mr 5:34
Lu 7:50
- g Mt 24:3

Tweede kol.

- a Mt 12:28
Mt 21:5
- b Mt 24:23
Mr 13:21
Lu 21:8
1Jo 4:1
- c Da 7:13
- d Mt 24:27
- e Mr 8:31
Mr 9:31
Lu 9:22
- f Ge 6:5
- g Mt 24:37-39
- h Ge 7:7
- i Ge 7:17, 21
- j Ge 19:15
- k Ge 19:24, 25
- l 1Kor 1:7
2Te 1:7, 8
- m Ge 19:17, 26

se sal ook nie sê: 'Kyk hier!' of: 'Daar!' nie. Want die Koninkryk van God is by julle."^a

22 Toe het hy vir die dissipels gesê: "Daar kom 'n tyd wanneer julle graag een van die dae van die Seun van die mens sal wil sien, maar julle sal dit nie sien nie. **23** En mense sal vir julle sê: 'Kyk daar!' of: 'Kyk hier!' Moenie uitgaan of agter hulle aanloop nie.^b

24 Want net soos die weerlig van een deel van die hemel tot in 'n ander deel van die hemel flits, so sal die Seun van die mens^c in sy dag wees.^d

25 Maar eers moet hy baie ly en deur hierdie geslag verwerp word.^e **26** En net soos dit in die dae van Noag was,^f so sal dit in die dae van die Seun van die mens wees:^g

27 Hulle het geëet, hulle het gedrink, mans het getrou, vrouens is in die huwelik gegee, tot op daardie dag toe Noag in die ark ingegaan het^h en die Vloed gekom het en hulle almal vernietig het.ⁱ

28 Net soos dit ook in die dae van Lot was:^j Hulle het geëet, hulle het gedrink, hulle het gekoop, hulle het verkoop, hulle het geplant, hulle het gebou. **29** Maar op die dag toe Lot uit Sodom uitgegaan het, het dit vuur en swael uit die hemel gereën en hulle almal vernietig.^k

30 Dit sal net so wees op die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.^l

31 "Op daardie dag moet die een wat op die dak is maar wie se besittings in die huis is, nie afkom om dit te gaan haal nie, en die een wat buite op die landery is, moet ook nie teruggaan na die dinge wat hy agtergelaat het nie. **32** Dink aan die vrou van Lot.^m **33** Elkeen

17:14, 17 *Lett. "gereinig".

17:21 *Of "is in julle midde".

wat sy lewe probeer red, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit red.^a **34** Ek sê vir julle: In daardie nag sal twee mense in een bed wees. Die een sal saamgeneem word, maar die ander een sal agtergelaat word.^b **35** Daar sal twee vrouens wees wat by dieselfde meul maal. Die een sal saamgeneem word, maar die ander een sal agtergelaat word.” **36** *—
37 Toe het hulle vir hom gevra: “Waar sal dit gebeur, Here?” Hy het vir hulle gesê: “Waar die liggaam is, daar sal die arende ook bymekaarkom.”^c

18 Toe het hy vir hulle 'n illustrasie vertel oor waarom dit nodig is om altyd te bid en nie moed op te gee nie.^d **2** Hy het gesê: “In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen vrees vir God en geen respek vir mense gehad het nie. **3** Daar was ook 'n weduwee in daardie stad, en sy het na hom toe bly gaan en gesê: ‘Oordeel regverdig tussen my en die een teen wie ek 'n regsak het.’ **4** Wel, 'n ruk lank wou hy dit nie doen nie, maar agterna het hy vir homself gesê: ‘Al het ek geen vrees vir God en geen respek vir mense nie, **5** sal ek 'n regverdige oordeel uitspreek omdat hierdie weduwee my die hele tyd lastig val. Dan sal sy ophou kom en my nie langer uitput met haar versoek nie.’”^e **6** Toe het die Here gesê: “Hoor wat die regter gesê het, al is hy onregverdig! **7** Sal God dan nie sorg dat dié wat hy uitgekies het en wat dag en nag tot hom uitroep,^f regverdig behandel word terwyl hy geduldig is met hulle nie?^g **8** Ek sê vir julle: Hy sal dadelik sorg dat hulle regverdig behandel word. Maar

17:36 *Sien Aanh. A3. **18:5** *Of “slaan totdat ek gedaan is nie”.

HFST. 17

a Mt 10:39
Mt 16:25
Mr 8:35
Lu 9:24
Joh 12:25

b Mt 24:40, 41

c Mt 24:28

HFST. 18

d Ro 12:12
Ef 6:18
Flp 4:6
Kol 4:2
1Te 5:17

e Lu 11:7, 8

f Op 6:9, 10

g 2Pe 3:9

Tweede kol.

a Mt 23:23

b Ps 51:1-3

c Jes 66:2
Mt 21:28-31

d Jes 2:11
Mt 23:12
Jak 4:6
1Pe 5:5

e Mt 19:13-15
Mr 10:13-16

f 1Pe 2:2

g Mt 18:3
Mr 10:15

sal die Seun van die mens werklik hierdie geloof* op die aarde vind wanneer hy kom?”

9 Hy het ook die volgende illustrasie vertel vir party wat gedink het dat hulle regverdig is en wat ander as niks beskou het nie: **10** “Twee mans het na die tempel gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n belastinggaarder.* **11** Die Fariseër het gaan staan en by homself begin bid: ‘O God, ek dank u dat ek nie soos al die ander mense is nie – afpersers, onregverdige, egbrekers – of selfs soos hierdie belastinggaarder nie. **12** Ek was twee keer per week en ek gee 'n tiende van alles wat ek verkry.’^a **13** Maar die belastinggaarder, wat op 'n afstand gestaan het, wou nie eers na die hemel opkyk nie. Hy het op sy bors bly slaan en gesê: ‘O God, ek is 'n sondaar.’^b Betoon genade aan my.’ **14** Ek sê vir julle: Hierdie man het na sy huis gegaan en was regverdiger as daardie Fariseër.^c Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, maar elkeen wat nederig is, sal verhoog word.”^d

15 En mense het ook hulle jong kinders na hom toe gebring sodat hy aan hulle kon raak, maar toe die dissipels dit sien, het hulle streng met hulle begin praat.^e **16** Jesus het egter die jong kinders na hom toe geroep en gesê: “Laat die jong kinders na my toe kom, en moet hulle nie probeer keer nie, want die Koninkryk van God behoort aan mense wat soos hulle is.^f **17** Ek verseker julle: Elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n jong kind ontvang nie, sal glad nie daar ingaan nie.”^g

18:8 *Of “hierdie soort geloof”. Lett. “die geloof”. **18:10** *Iemand wat belasting vir die regering invorder.

18 Een van die heersers het vir hom gevra: “Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?”^a

19 Jesus het vir hom gesê: “Hoekom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe een, God.^b **20** Jy ken die gebooië: ‘Moenie egbreuk pleeg nie,^c moenie moord pleeg nie,^d moenie steel nie,^e moenie valslik getuig nie,^f eer* jou pa en jou ma.”^g **21** Toe het hy gesê: “Ek was van kleins af gehoorsaam aan al hierdie dinge.” **22** Nadat Jesus dit gehoor het, het hy vir hom gesê: “Daar is nog een ding wat jy moet doen: Verkoop alles wat jy het en gee die geld vir die armes, en jy sal ’n skat in die hemel hê. En kom word my volgeling.”^h **23** Toe hy dit hoor, het hy baie hartseer geword, want hy was baie ryk.ⁱ

24 Jesus het na hom gekyk en gesê: “Hoe moeilik sal dit tog vir mense met geld wees om in die Koninkryk van God in te gaan!^j **25** Om die waarheid te sê, dit is makliker vir ’n kameel om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.”^k **26** Dié wat dit gehoor het, het gevra: “Wie kan dan gered word?”^l **27** Hy het gesê: “Die dinge wat onmoontlik is vir mense, is moontlik vir God.”^m **28** Maar Petrus het gesê: “Ons het alles wat ons gehad het, agtergelaat en u gevolg.”ⁿ **29** Hy het vir hulle gesê: “Ek verseker julle dat elkeen wat huis of vrou of broers of ouers of kinders ter wille van die Koninkryk van God verlaat het,^o **30** in hierdie tyd baie keer soveel sal kry, en in die wêreld wat kom,* die ewige lewe.”^p

18:20 *Of “respekteer”. **18:30** *Of “komende stelsel van dinge”. Sien Woordelys.

HFST. 18

- a Mt 19:16-22
Mr 10:17-22
Lu 10:25-28
- b Mt 19:17
Mr 10:18
- c Eks 20:14
De 5:18
- d Eks 20:13
De 5:17
- e Eks 20:15
De 5:19
- f Eks 20:16
De 5:20
- g Eks 20:12
De 5:16
Ro 13:9
Ef 6:2
- h Mt 6:20
Mt 19:21
Mr 10:21
Lu 12:33
1Ti 6:18, 19
- i Mt 19:22
Mr 10:22
- j Spr 11:28
Mt 19:23
Mr 10:23, 24
1Ti 6:9
- k Mt 19:24
Mr 10:25
- l Mt 19:25
- m Mt 19:26
Mr 10:27
- n Mt 19:27
- o Mt 19:28, 29
Mr 10:29, 30
- p Op 2:10

Tweede kol.

- a Mt 16:21
Mt 20:17-19
Mr 10:32-34
- b Mt 27:2
Han 3:13
- c Ps 22:7
- d Jes 50:6
- e Jes 53:5, 7
- f Mr 10:33, 34
Lu 9:22
- g Mt 20:29-34
Mr 10:46-52
- h Lu 7:50
Lu 17:19
- i Mt 20:34
- j Lu 5:26

31 Toe het hy die Twaalf eenkant geneem en vir hulle gesê: “Ons is op pad na Jerusalem, en alles wat deur middel van die profete oor die Seun van die mens geskryf is, sal vervul* word.^a **32** Hy sal byvoorbeeld aan mense van die nasies oorgelewer word^b en sal bespot^c en mishandel word en daar sal op hom gespoeg word.^d **33** Nadat hulle hom met ’n gésel* geslaan het, sal hulle hom doodmaak,^e maar op die derde dag sal hy opstaan.”^f **34** Maar hulle het nie enige van hierdie dinge begryp nie, want die betekenis van hierdie woorde is vir hulle weggesteek, en hulle het nie verstaan wat gesê is nie.

35 En toe Jesus naby Je’rigo kom, het ’n blinde man langs die pad gesit en bedel.^g **36** Omdat hy gehoor het dat hy ’n skare daar verbygaan, het hy begin vra wat aan die gang is. **37** Hulle het vir hom gesê: “Jesus die Nasarener gaan verby!” **38** Toe het hy uitgeroep: “Jesus, Seun van Dawid, betoon genade aan my!” **39** En die mense wat voor geloop het, het hom streng beveel om stil te bly, maar hy het al hoe meer uitgeroep: “Seun van Dawid, betoon genade aan my!” **40** Toe het Jesus stilgestaan en beveel dat die man na hom toe gebring moet word. Nadat hy nader gekom het, het Jesus vir hom gevra: **41** “Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?” Hy het gesê: “Here, laat my weer sien.” **42** Toe het Jesus vir hom gesê: “Jy kan weer sien. Jou geloof het jou gesond gemaak.”^h **43** En onmiddellik kon hy weer sien, en hy het hom begin volgⁱ terwyl hy God geloof het. Toe al die mense dit sien, het hulle God ook geloof.^j

18:31 *Of “volbring”. **18:33** *Sien Woordelys.

19 Toe het hy Je'rigo binnegegaan en daardeur gereis. **2** En daar was 'n man met die naam Sagge'us. Hy was 'n hoofbelastinggaarder,* en hy was ryk. **3** Wel, hy het probeer sien wie hierdie Jesus is, maar weens die skare kon hy nie sien nie, want hy was kort. **4** Toe het hy vooruit gehardloop en in 'n vyeboom* geklim om Jesus te sien, want hy sou binnekort daar verbygaan. **5** Toe Jesus by die plek kom, het hy opgekyk en vir hom gesê: "Sagge'us, maak gou en klim af, want ek moet vandag in jou huis bly." **6** Toe het hy vin-nig afgeklim en hom vreugdevol as 'n gas ontvang. **7** Toe hulle dit sien, het hulle almal gekla en gesê: "Hy is 'n gas in die huis van 'n man wat 'n sondaar is."^a **8** Maar Sagge'us het opgestaan en vir die Here gesê: "Kyk! Die helfte van my besittings, Here, gee ek vir die armes, en ek sal die mense wat ek afgepers het,* vier keer soveel terugbetaal."^b **9** Toe het Jesus vir hom gesê: "Vandag het daar redding na hierdie huis gekom, omdat jy ook 'n seun van Abraham is. **10** Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was."^c

11 Terwyl hulle na hierdie dinge geluister het, het hy nog 'n illustrasie vertel, want hy was naby Jerusalem en hulle het gedink dat die Koninkryk van God dadelik gaan verskyn.^d **12** Daarom het hy gesê: "'n Sekere man uit 'n koninklike gesin het na 'n ver land gereis^e om koning te word, en daarna sou hy terugkeer. **13** Hy het tien van sy slawe geroep, vir hulle tien

19:2 *Iemand wat belasting vir die regering invorder. **19:4** *Of "wildevyeboom". **19:8** *Of "deur valse beskuldiging afgepers het".

HFST. 19

a Mt 9:11
Lu 5:30
Lu 15:2

b Eks 22:1
Le 6:4, 5

c Ese 34:16
Mt 9:13
Mt 15:24
Lu 15:4
Ro 5:8
1Ti 1:15

d Han 1:6

e Mt 25:14
Mr 13:34
Joh 18:36

Tweede kol.

a Mt 25:15

b Mt 25:19

c Mt 25:20, 21

d Lu 16:10

e Mt 25:22, 23

f Mt 25:24

g Mt 25:26, 27

minas* gegee en vir hulle gesê: 'Dryf handel hiermee totdat ek kom.'^a **14** Maar die ander inwoners het hom gehaat en 'n groep ambassadeurs agter hom aan gestuur om te sê: 'Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet word nie.'

15 "Toe hy uiteindelik terugkom nadat hy koning geword het,* het hy die slawe vir wie hy die geld[#] gegee het, geroep om uit te vind hoeveel hulle gemaak het deur met sy geld handel te dryf.^b **16** Die eerste een het vorentoe gekom en gesê: 'Heer, met u een mina het ek nog tien minas gekry.'^c **17** Hy het vir hom gesê: 'Mooi so, goeie slaaf! Omdat jy in 'n baie klein saak getrou was, sal jy beheer hê oor tien stede.'^d **18** En die tweede een het gekom en gesê: 'Heer, met u een mina het ek nog vyf minas gekry.'^e

19 Hy het ook vir hierdie een gesê: 'En jy sal beheer hê oor vyf stede.'^f **20** Maar 'n ander een het gekom en gesê: 'Heer, hier is u mina, wat ek in 'n doek weggesteek het. **21** U sien, ek was bang vir u, want u is 'n streng man. U neem wat u nie gedeponeer het nie en oes wat u nie gesaai het nie.'^f **22** Hy het vir hom gesê: 'Uit jou eie mond oordeel ek jou, jou goddelose slaaf. Jy het mos geweet dat ek 'n streng man is wat neem wat ek nie gedeponeer het nie en oes wat ek nie gesaai het nie.'^g **23** Hoekom het jy dan nie my geld[#] in 'n bank gesit nie? Dan sou ek dit met rente teruggekry het toe ek gekom het.'

24 "Toe het hy vir die mense wat daar gestaan het, gesê: 'Wat

19:13 *'n Griekse mina het 340 g geweeg en was waarskynlik 100 dragmas werd. Sien Aanh. B14. **19:15** *Of "koninklike mag verkry het". **19:15, 23** [#] Lett. "silwer".

die mina by hom en gee dit vir die een wat die tien minas het.^a **25** Maar hulle het vir hom gesê: 'Heer, hy het tien minas!' **26** Hy het geantwoord: 'Ek sê vir julle: As iemand het, sal meer aan hom gegee word, maar as iemand nie het nie, sal selfs wat hy het, van hom af weg-geneem word.^b **27** En bring my vyande wat nie wou hê dat ek koning oor hulle moet word nie, en maak hulle hier voor my dood.'

28 Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy verder gegaan na Jerusalem. **29** Toe hy naby Betfa'ge en Beta'nië kom, by die berg wat die Olyfberg^c genoem word, het hy twee van die dissipels gestuur^d **30** en gesê: "Gaan in die dorpie in wat julle voor julle sien, en nadat julle daar ingegaan het, sal julle 'n jong donkie vind wat vasgemaak is en waarop niemand nog ooit gesit het nie. Maak hom los en bring hom hierheen. **31** En as iemand vir julle vra: 'Hoekom maak julle hom los?' moet julle sê: 'Die Here het hom nodig.'" **32** Toe het dié wat gestuur is, gegaan en dit gevind net soos hy vir hulle gesê het.^e **33** Maar terwyl hulle die jong donkie losgemaak het, het sy eienaars vir hulle gevra: "Hoekom maak julle die donkie los?" **34** Hulle het gesê: "Die Here het hom nodig." **35** En hulle het hom na Jesus toe gelei, en hulle het hulle bo-klere op die jong donkie gesit en Jesus op die donkie laat sit.^f

36 Terwyl hy op die donkie gery het, het hulle hulle bo-klere op die pad uitgesprei.^g **37** Toe hy naby die pad kom wat teen die Olyfberg afloop, het die hele groep dissipels bly geword en God met 'n harde stem begin loof as gevolg van

- HFST. 19
- a Mt 25:28
- b Mt 13:12
Mt 25:29
Mr 4:25
Lu 8:18
- c Han 1:12
- d Mt 21:1-3
Mr 11:1-6
- e Mt 21:6,7
- f Sag 9:9
Mr 11:7-10
Joh 12:14, 15
- g Mt 21:8

Tweede kol.

- a Ps 118:26
Mt 21:9
Mr 11:9
- b Mt 21:15
Joh 12:19
- c Joh 11:35
- d Jes 6:9,10
Mt 13:14
- e De 28:52
Da 9:26
Lu 21:20
- f Lu 23:28, 29
- g Mt 24:2
Mr 13:2
Lu 21:6
- h Mt 21:12
Mr 11:15, 16
- i Jes 56:7
- j Jer 7:11
Mt 21:13
Mr 11:17
Joh 2:16
- k Mr 11:18
- l Mr 12:37
Lu 21:38

al die kragtige werke wat hulle gesien het. **38** Hulle het gesê: "Geseënd is die een wat in Jehovah^a se naam as Koning kom! Vrede in die hemel en alle lof in die hoogtes daar bo!"^a **39** Party van die Fariseërs wat in die skare was, het egter vir hom gesê: "Leermeester, praat met^{*} u dissipels."^b **40** Maar hy het geantwoord: "Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep."

41 En toe hy naby kom, het hy na die stad gekyk en daaroor gehuil^c **42** en gesê: "As jy, ja jy, op hierdie dag die dinge onderskei het wat met vrede te doen het – maar nou kan jy nie hierdie dinge sien nie."^d **43** Want die dae sal kom wanneer jou vyande 'n versterkte muur met skerp pale rondom jou sal bou en jou sal omsingel en jou van alle kante sal beleër.^e **44** Hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter,^f en hulle sal nie 'n klip op 'n klip in jou los nie,^g omdat jy nie die tyd waarin jy geïnspekteer is, herken het nie."

45 Hy het in die tempel ingegaan en dié wat besig was om daar te verkoop, begin uitjaag^h **46** en vir hulle gesê: "Daar staan geskryf: 'My huis sal 'n huis van gebed wees',ⁱ maar julle het dit 'n skuilplek vir rowers gemaak.'^j

47 Hy het aangehou om mense elke dag in die tempel te leer. Maar die hoofpriesters en die skrifgeleerdes en die leiers van die volk het na 'n manier gesoek om hom dood te maak.^k **48** Maar hulle kon nie 'n manier vind om dit te doen nie, want die hele volk was heeltyd rondom hom om na hom te luister.^l

19:38 *Sien Aanh. A5. 19:39 *Lett. "bestraf". 19:43 *Of "in benoudheid sal bring".

20 Op een van die dae, terwyl hy die volk in die tempel geleer het en die goeie nuus bekend gemaak het, het die hoofpriesters en die skrifgeleerdes saam met die ouermanne gekom **2** en vir hom gevra: “Sê vir ons: Deur watter gesag doen jy hierdie dinge? Wie het jou hierdie gesag gegee?”^a **3** Hy het hulle geantwoord: “Ek sal julle ook ’n vraag vra, en sê julle vir my: **4** Het Johannes se gesag om te doop uit die hemel of van mense gekom?” **5** Toe het hulle onder mekaar geredeneer en gesê: “As ons sê: ‘Uit die hemel,’ sal hy vra: ‘Hoekom het julle hom nie geglo nie?’ **6** Maar as ons sê: ‘Van mense,’ sal die hele volk ons met klippe doodgooi, want hulle is daarvan oortuig dat Johannes ’n profeet was.”^b **7** Daarom het hulle gesê dat hulle nie weet uit watter bron dit was nie. **8** Jesus het vir hulle gesê: “Dan sê ek ook nie vir julle met watter gesag ek hierdie dinge doen nie.”

9 Toe het hy vir die volk hierdie illustrasie begin vertel: “’n Man het ’n wingerd geplant^c en dit aan landbouers verhuur, en hy het vir ’n lang tyd na die buiteland gereis.^d **10** Op die regte tyd het hy ’n slaaf na die landbouers toe gestuur sodat hulle vir hom van die druiwe van die wingerd sou gee. Die landbouers het hom egter geslaan en hom met leë hande weggestuur.^e **11** Maar hy het nog ’n slaaf na hulle toe gestuur. Hulle het hierdie een ook geslaan en verneder* en met leë hande weggestuur. **12** Hy het ook ’n derde slaaf gestuur. Hulle het hierdie een ook gewond en uitgeloog. **13** Die eienaar van die wingerd het toe gesê: ‘Wat sal

HFST. 20

a Mt 21:23-27
Mr 11:27-33

b Lu 7:29

c Jes 5:7

d Mt 21:33-41
Mr 12:1-9e 2Kn 17:13, 14
2Kf 36:15, 16
Han 7:52
Heb 11:36, 37

Tweede kol.

a Mt 17:5
Joh 3:16

b Han 3:15

c Ps 118:22
Jes 28:16
Mt 21:42, 44
Mr 12:10, 11
Han 4:11
1Pe 2:7

d Jes 8:14, 15

e Mt 21:45, 46
Mr 12:12f Mt 22:15-22
Mr 12:13-17

ek doen? Ek sal my seun, die geliefde, stuur.^a Hulle sal hom tog seker respekteer.’ **14** Toe die landbouers hom sien, het hulle onder mekaar begin redeneer en gesê: ‘Dit is die erfgenaam. Laat ons hom doodmaak sodat die erfenis ons s’n kan word.’ **15** Toe het hulle hom uit die wingerd uitgegooi en hom doodgemaak.^b Wat sal die eienaar van die wingerd dan aan hulle doen? **16** Hy sal hierdie landbouers kom doodmaak en die wingerd vir ander gee.”

Toe hulle dit hoor, het hulle gesê: “Mag dit nooit gebeur nie!” **17** Maar hy het reguit na hulle gekyk en gesê: “Wat beteken die woorde in die Skrif wat sê: ‘Die steen wat die bouers verwerp het, het die belangrikste hoeksteen* geword’^c **18** Elkeen wat op hierdie steen val, sal vernietig word.^d En elkeen op wie hierdie steen val, sal vergruis word.”

19 Die skrifgeleerdes en die hoofpriesters het toe probeer om hom in daardie selfde uur gevange te neem, maar hulle was bang vir die volk, want hulle het besef dat hy hulle in gedagte gehad het toe hy hierdie illustrasie vertel het.^e **20** Nadat hulle hom fyn dopgehou het, het hulle manne gestuur wat in die geheim gehuur is om voor te gee dat hulle regverdig is. Hulle wou hom kry om iets te sê wat hulle teen hom kan gebruik,^f sodat hulle hom aan die regering en aan die gesag van die goewerneur kan oorlewer. **21** Hulle het vir hom gesê: “Leermeester, ons weet dat die dinge wat u sê en aan ander leer, reg is en dat u nie partydig is nie, maar dat u die waarheid oor God se weg leer. **22** Is dit reg vir ons om belasting aan

20:11 *Of “oneer aangedoen”.

20:17 *Lett. “die hoof van die hoek”.

die keiser te betaal of nie?"

23 Maar hy het geweet dat hulle slinks is en het vir hulle gesê:

24 "Wys vir my 'n denarius.*

Wie se beeld en titel is hierop?" Hulle het gesê: "Die keiser s'n."

25 Hy het vir hulle gesê: "Betaal dan aan die keiser wat aan die keiser behoort,^a maar aan God wat aan God behoort."^b

26 Hulle kon hom nie kry om iets voor die volk te sê wat hulle teen hom kon gebruik nie, maar hulle was verbaas oor sy antwoord en het niks gesê nie.

27 Party van die Sadduseërs, dié wat sê dat daar geen opstanding is nie,^c het egter vir hom kom sê:^d

28 "Leermeester, Moses het vir ons geskryf: 'As iemand sterf en sy vrou sonder kinders agterlaat, moet sy broer met die vrou trou en kinders gee vir sy broer wat gesterf het.'^e

29 Daar was sewe broers. Die eerste broer het met 'n vrou getrou, maar hy het gesterf sonder dat hy kinders gehad het.

30 Toe het die tweede broer

31 en daarna die derde broer met haar getrou. En so het al sewe broers gesterf en geen kinders agtergelaat nie.

32 Laastens het die vrou ook gesterf.

33 Wie se vrou sal sy in die opstanding wees? Want al sewe was met haar getroud."

34 Jesus het vir hulle gesê: "Die kinders van hierdie wêreld* trou en word in die huwelik gegee,

35 maar dié wat waardig geag word vir daardie wêreld* en die opstanding uit die dood, trou nie en word ook nie in die huwelik gegee nie.^f

36 Om die waarheid te sê, hulle kan ook nie meer sterf nie, want hulle is soos die engele, en hul-

20:24 *Sien Aanh. B14. 20:34, 35 *Of "tydperk; stelsel van dinge". Sien Woordelys.

HFST. 20

a Ro 13:7
Tit 3:1
1Pe 2:13

b Mt 22:21
Mr 12:17

c Han 23:8

d Mt 22:23-28
Mr 12:18-23

e Ge 38:7, 8
De 25:5, 6

f Mt 22:29, 30
Mr 12:24, 25

Tweede kol.

a Eks 3:2, 6
Mt 22:31-33
Mr 12:26, 27

b Mt 22:32

c Mt 22:41-46
Mr 12:35-37

d Ps 110:1
Han 2:34, 35

e Mt 23:2, 6, 7
Mr 12:38-40

HFST. 21
f Mr 12:41

le is God se kinders omdat hulle kinders van die opstanding is.

37 Maar selfs Moses het in die verslag oor die doringbos bekend gemaak dat die dooies wel opgewek word toe hy Jehovah* 'die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob' genoem het.^a **38** Hy is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes, want vir hom* lewe hulle almal.^b **39** Party van die skrifgeleerdes het gesê: "Leermeester, wat u gesê het, is waar." **40** Want hulle het nie meer die moed gehad om hom 'n enkele vraag te vra nie.

41 Toe het hy vir hulle gevra: "Hoekom sê hulle dat die Christus Dawid se seun is?^c

42 Want Dawid sê self in die boek van die Psalms: 'Jehovah* het vir my Here gesê: "Sit aan my regterhand **43** totdat ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak."^d **44** Dawid noem hom dus Here. Hoe is hy dan sy seun?"

45 Terwyl die hele volk geluister het, het hy vir sy dissipels gesê: **46** "Pasop vir die skrifgeleerdes wat daarvan hou om in lang klere rond te loop en om op die markpleine gegroet te word en wat die voorste* sitplekke in die sinagoges en die beste plekke by aandetes wil hê,^e **47** en wat die weduwees van hulle besittings beroof* en lang gebede doen net om deur mense gesien te word. Hulle sal 'n strenger* oordeel ontvang."

21 En toe hy opkyk, het hy die rykes hulle bydraes in die skatkiste sien gooi.^f **2** Toe het hy gesien dat 'n arm weduwee twee muntstukies van

20:37, 42 *Sien Aanh. A5. 20:38 *Of "uit sy standpunt". 20:46 *Of "besete". 20:47 *Lett. "wat die huise van die weduwees verslind". *Of "swaarder".

baie min waarde* ingooi,^a **3** en hy het gesê: “Ek verseker julle dat hierdie arm weduwee meer as hulle almal ingegooi het.”^b **4** Want hulle almal het bydraes ingegooi uit hulle oorvloed, maar al is sy baie arm, het sy alles ingegooi waarvan sy moes lewe.”^c

5 Later, toe party oor die tempel praat, hoe dit met pragtige stene en toegewyde dinge versier is,^d **6** het hy gesê: “Die dae kom wanneer al hierdie dinge wat julle sien, afgebreek sal word. Daar sal nie 'n klip op 'n klip gelos word nie.”^e **7** Toe het hulle vir hom gevra: “Leermeester, wanneer sal hierdie dinge dan gebeur, en wat sal die teken wees dat al hierdie dinge gaan plaasvind?”^f **8** Hy het gesê: “Pasop dat julle nie mislei word nie,^g want baie sal kom en my naam gebruik en sê: ‘Dit is ek,’ en: ‘Die vasgestelde tyd is naby.’ Moenie agter hulle aan gaan nie.”^h **9** En wanneer julle van oorloë en oproere hoor, moet julle nie bang word nie. Want hierdie dinge moet eers gebeur, maar die einde sal nie onmiddellik kom nie.”ⁱ

10 Toe het hy vir hulle gesê: “Nasie sal teen nasie opstaan/ en koninkryk teen koninkryk.”^k **11** Daar sal groot aardbewings wees, en voedseltekorte en vreeslike siektes op die een plek ná die ander.^l Mense sal skrikwekkende dinge sien, en daar sal groot tekens van die hemel af wees.

12 “Maar voordat al hierdie dinge gebeur, sal mense teen julle optree en julle vervolgm en julle aan die sinagoges en die tronke oorlewer. Julle sal ter wille van my naam voor konings en goewerneurs gebring word.”ⁿ

21:2 *Lett. “twee lepta”. Sien Aanh. B14.

HFST. 21

- a Mr 12:42
b Mr 12:43, 44
2Kor 8:12
c Mt 22:37
d Mt 24:1, 2
Mr 13:1, 2
e Lu 19:44
f Mt 24:3
Mr 13:4
g 2Ti 3:13
1Jo 4:1
Op 12:9
h Mt 24:4, 5
Mr 13:5, 6
i Mt 24:6
Mr 13:7
j Op 6:4
k Mt 24:7
Mr 13:8
l Han 11:28
Op 6:8
m Joh 16:2
n Mt 10:17, 18
Mt 24:9
Mr 13:9
Han 25:23
Op 2:10

Tweede kol.

- a Lu 12:11, 12
b Mr 13:11
Han 6:8, 10
c Mi 7:6
Mr 13:12, 13
Han 7:59
d Mt 10:22
Mt 24:9
e Mt 10:29, 30
Lu 12:6, 7
f Mt 24:13
Ro 5:3, 4
Heb 10:36
2Pe 1:5, 6
g Lu 19:43
h Da 9:26
Mt 23:37, 38
Mt 24:15, 16
i Mr 13:14
j Mt 24:19
Mr 13:17
Lu 23:28, 29
k De 28:64
Da 9:26
l Da 4:25
m Mt 24:29
Mr 13:24, 25

13 Dit sal daartoe lei dat julle 'n getuienis gee. **14** Besluit dus in julle harte om nie vooraf te oefen hoe julle julle gaan verdedig nie,^a **15** want ek sal vir julle woorde en wysheid gee, wat al julle teenstanders saam nie sal kan weerstaan of bevraagteken nie.^b **16** Wat meer is, julle sal selfs deur ouers en broers en familieleden en vriende oorgelewer* word, en hulle sal party van julle doodmaak,^c **17** en julle sal deur alle mense gehaat word as gevolg van my naam.^d **18** Maar nie eers 'n haar op julle koppe sal verlore gaan nie.^e **19** Deur julle volharding sal julle julle lewens red.^f

20 “Maar wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërmagte omsingel is,^g moet julle weet dat haar verwoesting naby gekom het.”^h **21** Laat die mense wat in Jude'a is, dan na die berge begin vlug,ⁱ en laat dié wat in die stad is, uitgaan, en laat dié wat in die platteland is, nie daar ingaan nie, **22** want in daardie dae sal daar regverdig geoordeel en gestraf word,* sodat alles wat geskryf staan, vervul kan word. **23** Dit sal 'n verskriklike tyd wees vir die swanger vrouens en vir dié wat in daardie dae 'n baba borsvoed!^j Want die mense in die land sal baie ly, en hierdie volk sal swaar gestraf word. **24** Hulle sal met die swaard doodgemaak word en as gevangenes na al die nasies weggevoer word,^k en Jerusalem sal deur die nasies* vertrap word totdat die vasgestelde tye van die nasies* verby is.^l

25 “En daar sal tekens in die son en maan en sterre wees,^m

21:16 *Of “verraai”. 21:22 *Of “want dit is dae van wraak”. 21:24 *Of “heidene”.

en die nasies van die aarde sal bang wees en sal nie weet wat om te doen nie as gevolg van die gedreun en onstuimigheid van die see. **26** Mense sal flou word van vrees en spanning as gevolg van die dinge wat oor die bewoonde aarde kom, want die kragte van die hemel sal geskud word. **27** En dan sal hulle die Seun van die mens^a met krag en groot heerlikheid in 'n wolk sien kom.^b **28** Maar wanneer hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle koppe op, want julle verlossing kom nader."

29 Toe het hy vir hulle 'n illustrasie vertel: "Kyk na die vyeboom en al die ander bome.^c **30** Wanneer julle sien dat hulle nuwe blare kry, weet julle dat die somer nou naby is. **31** Net so moet julle, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, ook weet dat die Koninkryk van God naby is. **32** Ek verseker julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat alles gebeur nie.^d **33** Hemel en aarde sal nooit verdwyn, maar my woorde sal nooit verdwyn nie.^e

34 "Maar pasop dat julle harte nooit oorweldig word deur te veel te eet en te veel te drink^f en deur die bekommernisse van die lewe nie.^g Anders sal hierdie dag skielik, in 'n oomblik, oor julle kom **35** soos 'n strik.^h Want dit sal oor almal kom wat op die hele aarde woon. **36** Bly dus wakkerⁱ en doen altyd smeekebede^j sodat julle veilig kan kom deur hierdie dinge wat gaan gebeur en voor die Seun van die mens sal kan staan."^k

37 Gedurende die dag het hy mense in die tempel geleer, maar in die aand het hy uitgegaan na die berg wat die Olyfberg genoem word en die hele nag daar gebly. **38** En die hele

- HFST. 21
 a Da 7:13
 b Mt 24:30
 Mr 13:26
 Op 1:7
 c Mt 24:32, 33
 Mr 13:28, 29
 d Mt 24:34
 Mr 13:30
 e Mt 24:35
 Mr 13:31
 f Jes 5:11, 12
 Ro 13:13
 g Spr 11:4
 Mt 6:25
 1Ti 6:8
 h 1Te 5:2, 3
 2Pe 3:10
 i Mt 25:13
 Mr 13:33
 1Kor 16:13
 1Pe 5:8
 j Ro 12:12
 Ef 6:18
 1Pe 4:7
 k Mt 24:42
 Mr 13:35
 Op 6:16, 17
 Op 16:15

Tweede kol.

- HFST. 22
 a Le 23:5-8
 Lu 22:7
 Joh 13:1
 b Eks 12:3, 6
 c Lu 9:22
 d Mt 21:45, 46
 Mt 26:3-5
 Mr 14:1, 2
 Lu 20:19
 e Mt 26:14-16
 Mr 14:10, 11
 Joh 6:70
 Joh 13:2, 27
 Han 1:16, 17
 f Joh 13:18
 g Sag 11:12
 h Eks 12:14, 18
 De 16:1, 2
 Mt 26:17
 Mr 14:12
 i Eks 12:8
 j Mt 26:18, 19
 Mr 14:13-16

volk het vroeg in die oggend na hom toe gekom om in die tempel na hom te luister.

22 Die Fees van die Ongezuurde Brode, wat die Pasga^a genoem word, het nader gekom.^b **2** Die hoofpriesters en die skrifgeleerdes het na 'n doeltreffende manier gesoek om van hom ontslae te raak,^c want hulle was bang vir die volk.^d **3** Toe het Satan in Judas ingevaar, die een wat Iska'riot genoem is en wat een van die Twaalf^e was. **4** Judas het na die hoofpriesters en tempelhoofmanne gegaan en met hulle gepraat oor hoe hy Jesus aan hulle kon verraai.^f **5** Hulle was baie bly hieroor en het ooreengekom om vir hom silwergeld te gee.^g **6** Toe het hy ingestem, en hy het na 'n goeie geleentheid begin soek om Jesus aan hulle te verraai sonder dat daar 'n skare by is.

7 Die dag van die Ongesuurde Brode het toe aangebreek, die dag waarop die Pasgaoffer geslag moet word.^h **8** Jesus het dus Petrus en Johannes gestuur en vir hulle gesê: "Gaan maak die Pasga vir ons gereed sodat ons dit kan eet."ⁱ **9** Hulle het vir hom gevra: "Waar wil u hê moet ons dit gereedmaak?" **10** Hy het vir hulle gesê: "Wanneer julle in die stad ingaan, sal 'n man wat 'n waterkruik dra, julle ontmoet. Volg hom tot in die huis waar hy ingaan.^j **11** En sê vir die eienaar van die huis: 'Die Leermeester vra: "Waar is die gastevertrek waar ek die Pasga saam met my dissipels kan eet?"' **12** En daardie man sal vir julle 'n groot bokamer wys wat ingerig is. Maak dit daar gereed." **13** Toe het hulle vertrek en dit gevind net soos hy vir hulle gesê het, en hulle het vir die Pasga voorberei.

14 Toe die uur kom, het hy saam met die apostels aan tafel gegaan.^a **15** En hy het vir hulle gesê: “Ek wou baie graag hierdie Pasga saam met julle eet voordat ek ly, **16** want ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet totdat dit in die Koninkryk van God vervul word nie.” **17** En hy het ’n beker by een van hulle geneem, ’n dankgebed gedoen en gesê: “Neem dit en gee dit vir mekaar aan, **18** want ek sê vir julle: Van nou af sal ek nie weer wyn drink totdat die Koninkryk van God kom nie.”

19 Hy het ook ’n brood geneem^b en ’n dankgebed gedoen. Toe het hy die brood gebreek en dit vir hulle gegee en gesê: “Dit beteken my liggaam,^c wat vir julle gegee sal word.^d Hou aan om dit te doen as ’n herinnering aan my.”^e **20** Nadat hulle die aandmaal geëet het, het hy dieselfde met die beker gedoen en gesê: “Hierdie beker beteken die nuwe verbond^f wat bevestig* word deur my bloed,^g wat vir julle uitgestort sal word.^h

21 “Maar die hand van my verraaier is by my aan tafel.ⁱ **22** Want alles wat oor die Seun van die mens geskryf is, gaan beslis met hom gebeur,^j maar dit sal sleg gaan met die man wat hom verrai!”^k **23** Hulle het toe onder mekaar begin bespreek wie van hulle tog so iets kon doen.^l

24 En hulle het ook erg onder mekaar begin stry oor wie van hulle die grootste is.^m **25** Hy het egter vir hulle gesê: “Die konings van die nasies speel oor hulle baas, en dié wat gesag oor hulle het, ontvang spesiale titels daarvoor.”ⁿ

22:19 *Of “tot my gedagtenis te doen”.
22:20 *Of “bekragtigt”. **22:25** *Lett. “word Weldoeners genoem”.

HFST. 22

- a Mt 26:20
Mr 14:17
b Eks 12:8
c 1Kor 10:16
d Heb 10:10
1Pe 2:24
e Mt 26:27, 28
Mr 14:23, 24
1Kor 11:23-25
f Jer 31:31
Heb 7:22
Heb 8:8
g Eks 24:8
h Heb 9:13, 14
1Pe 1:18, 19
i Ps 41:9
Mt 26:21
Mr 14:18
Joh 13:21
j Jes 53:7, 8
Da 9:26
Han 4:27, 28
k Mt 26:24
l Mt 26:22
Mr 14:19
Joh 13:22
m Mr 9:34
Lu 9:46
n Mt 20:25-27
Mr 10:42-44

Tweede kol.

- a 1Pe 5:2, 3
b Lu 9:46-48
c Mt 20:28
Joh 13:3-5
Flp 2:5-7
d Heb 4:15
e Joh 6:67, 68
f Da 7:27
Lu 12:32
2Ti 2:12
Heb 12:28
Jak 2:5
Op 1:6
g Lu 13:29
Joh 17:24
h 1Kor 6:2
Op 2:26, 27
Op 3:21
Op 20:6
i Mt 19:28
j Mt 26:31
Mr 14:27
1Pe 5:8
k Joh 17:15
l Heb 12:12
m Mt 26:33
Mr 14:29
Joh 13:37
n Mt 26:34
Mr 14:30
Lu 22:61
Joh 13:38
o Mt 10:9, 10
Mr 6:7-9
Lu 9:2, 3

26 Maar julle moenie so wees nie.^a Laat die een wat die grootste onder julle is, soos die jongste word,^b en laat die een wat die leiding neem, soos die een wat dien. **27** Want water een is groter: die een wat eet* of die een wat bedien? Is dit nie die een wat eet* nie? Maar onder julle is ek soos die een wat bedien.^c

28 “Julle het egter in al my moeilike tye^d by my gebly.^e **29** En ek maak ’n verbond met julle, net soos my Vader ’n verbond met my gemaak het, vir ’n koninkryk,^f **30** sodat julle aan my tafel in my Koninkryk kan eet en drink^g en op trone kan sit^h om die 12 stamme van Israel te oordeel.ⁱ

31 “Simon, Simon, kyk! Satan dring daarop aan om julle almal soos koring te sif.^j **32** Maar ek het ’n smeekgebed vir jou gedoen dat jou geloof nie sal verswak nie,^k en nadat jy teruggekeer het, moet jy jou broers versterk.”^l **33** Toe het hy vir hom gesê: “Here, ek is gereed om saam met u in die gevangenis in te gaan en selfs om saam met u te sterf.”^m **34** Maar hy het gesê: “Ek sê vir jou, Petrus, voordat ’n haan vandag kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie.”ⁿ

35 Hy het ook vir hulle gevra: “Het julle enigiets kortgekomm toe ek julle sonder ’n geldsak en ’n voedselsak en sandale^o uitgestuur het?” Hulle het gesê: “Nee!” **36** Toe het hy vir hulle gesê: “Maar as iemand nou ’n geldsak het, moet hy dit saamvat, en ook ’n voedselsak, en as iemand nie ’n swaard het nie, moet hy sy bo-kleed verkoop en een koop. **37** Want ek sê vir julle dat die dinge wat geskryf is, in my vervul moet word,

22:27 *Of “aan tafel is”.

naamlik: 'Hy is onder wetteloses getel.'^a Want hierdie woorde wat oor my geskryf is, word nou vervul."^b **38** Toe het hulle gesê: "Here, kyk, hier is twee swaarde." Hy het vir hulle gesê: "Dit is genoeg."

39 Hy het vertrek en soos gewoonlik na die Olyfberg gegaan, en die dissipels het hom ook gevolg.^c **40** Toe hy daar aankom, het hy vir hulle gesê: "Hou aan bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."^d **41** Hy het van hulle af weggegaan, omtrent 'n klipgooi ver, en hy het op sy knieë gegaan en begin bid: **42** "Vader, as u wil, neem hierdie beker van my af weg. Maar laat nie my wil nie, maar u wil plaasvind."^e **43** Toe het 'n engel uit die hemel aan hom verskyn en hom versterk.^f **44** Maar hy het soveel angs ervaar dat hy nog ernstiger gebid het,^g en sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val. **45** Toe hy klaar gebid het, het hy opgestaan en na die dissipels toe gegaan. Hy het gesien dat hulle slaap, want hulle was uitgeput omdat hulle so baie getreur het.^h **46** Hy het vir hulle gesê: "Hoekom slaap julle? Staan op en hou aan bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."ⁱ

47 Terwyl hy nog gepraat het, het 'n skare daar aangekom. Die man met die naam Judas, een van die Twaalf, het voor hulle geloop, en hy het na Jesus toe gekom om hom te soen.^j **48** Maar Jesus het vir hom gevra: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?" **49** Toe die mense om hom sien wat gaan gebeur, het hulle gevra: "Here, moet ons hulle met die swaard aanval?" **50** Een van hulle het selfs sy swaard na die slaaf van die hoëpriester ge-

HFST. 22

a Jes 53:12

b Lu 18:31

c Mt 26:30
Mr 14:26
Joh 18:1

d Mt 26:41
Mr 14:38
Lu 22:46

e Mt 6:10
Mt 26:39
Mr 14:36
Joh 5:30
Joh 6:38

f 1Kn 19:5, 7
Da 10:18, 19
Mt 4:11

g Joh 12:27
Heb 5:7

h Mt 26:40
Mr 14:37

i Mt 26:41
Mr 14:38
Lu 22:40

j Mt 26:47-50
Mr 14:43-46
Joh 18:2, 3

Tweede kol.

a Mt 26:51, 52
Mr 14:47
Joh 18:10, 11

b Mt 26:55, 56
Mr 14:48, 49

c Lu 19:47

d Joh 7:30

e Joh 19:11

f Jes 53:7
Han 8:32

g Mt 26:57, 58
Mr 14:53, 54
Joh 18:15

h Mt 26:69-75
Mr 14:66-72
Joh 18:18

i Joh 18:25-27

j Mt 26:75
Mr 14:72

swaai en sy regteroor afgekap.^a

51 Maar Jesus het gesê: "Dit is genoeg." En hy het aan die man se oor geraak en hom gesond gemaak. **52** Jesus het toe vir die hoofpriesters en hoofmanne van die tempel en ouermanne wat hom daar kom haal het, gesê: "Het julle met swaarde en knuppels gekom asof ek 'n roer is?"^b **53** Terwyl ek dag ná dag by julle in die tempel was,^c het julle my nie in hegtenis geneem nie.^d Maar dit is julle uur en die gesag van die duisternis."^e

54 Hulle het hom gearresteer en weggelei^f en hom in die huis van die hoëpriester ingebring, maar Petrus het hulle op 'n afstand gevolg.^g **55** Hulle het 'n vuur in die middel van die binnehof aangesteek en bymeekaar gaan sit. Petrus het tussen hulle gesit.^h **56** Maar 'n diensmeisie het hom gesien waar hy in die lig van die vuur sit. Sy het mooi na hom gekyk en toe gesê: "Hierdie man was ook saam met hom." **57** Maar hy het dit ontken en gesê: "Ek ken hom nie." **58** Ná 'n rukkie het iemand anders wat hom gesien het, gesê: "Jy is ook een van hulle." Maar Petrus het vir die man gesê: "Ek is nie."ⁱ **59** En omtrent 'n uur later het 'n ander man volgehou en gesê: "Hierdie man was beslis ook saam met hom, want hy is 'n Galileër!" **60** Maar Petrus het vir die man gesê: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." En onmiddellik, terwyl hy nog gepraat het, het 'n haan gekraai. **61** Toe het die Here omgedraai en reguit na Petrus gekyk, en Petrus het die Here se woorde onthou toe hy vir hom gesê het: "Voordat 'n haan vandag kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie."^j **62** En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

63 Die manne wat Jesus gevange gehou het, het hom begin spot^a en hom geslaan,^b **64** en nadat hulle sy gesig bedek het, het hulle bly sê: “Profeteer! Wie is dit wat jou geslaan het?”

65 En hulle het nog baie ander lasterlike dinge teen hom gesê.

66 Toe dit dag word, het die groep ouermanne van die volk bymekaargekom, hoofpriesters sowel as skrifgeleerdes,^c en hulle het Jesus na die Sanhe'drinsaal geneem en vir hom gesê:

67 “As jy die Christus is, sê vir ons.”^d Maar hy het vir hulle gesê: “Al sê ek dit vir julle, sal julle dit glad nie glo nie. **68** En al sou ek julle 'n vraag vra, sal julle nie antwoord nie. **69** Maar van nou af sal die Seun van die mens^e aan die magtige regterhand van God sit.”^f **70** Toe het hulle almal gevra: “Is jy dan die Seun van God?” Hy het vir hulle gesê: “Julle sê self dat ek is.”

71 Hulle het gesê: “Hoekom het ons nog getuienis nodig? Want ons het dit self uit sy eie mond gehoor.”^g

23 Die hele skare het opgestaan en hom na Pilatus toe gelei.^h **2** Toe het hulle hom begin beskuldigⁱ en gesê: “Ons het vasgestel dat hierdie man ons nasie opstandig maak. Hy verbied mense om belasting aan die keiser te betaal^j en sê dat hy Christus, 'n koning, is.”^k **3** Pilatus het vir hom gevra: “Is jy die Koning van die Jode?” Hy het geantwoord: “U sê dit self.”^l **4** Toe het Pilatus vir die hoofpriesters en die skare gesê: “Ek vind nie bewyse dat hierdie man enige misdaad gepleeg het nie.”^m **5** Maar hulle het bly sê: “Hy steek die volk op deur die mense in die hele Jude'a te leer, van Galile'a af en selfs tot hier.” **6** Toe Pilatus dit hoor, het hy gevra of die man 'n Galileër is.

HFST. 22

a Ps 22:7
b Jes 50:6
Jes 53:5
Mt 26:67, 68
Mr 14:65

c Ps 2:2
Mt 27:1
Mr 15:1
Han 4:26

d Mt 26:63
Mr 14:61

e Da 7:13

f Ps 110:1
Mt 26:64
Mr 14:62
Han 2:32, 33
Han 7:55
Ro 8:34
Kol 3:1
Heb 1:3

g Mt 26:65
Mr 14:63

HFST. 23

h Mt 27:2
Mr 15:1
Joh 18:28

i Ps 35:11

j Mr 12:17

k Joh 18:36

l Mt 27:11

m Joh 18:38
Heb 7:26
1Pe 2:21, 22

Tweede kol.

a Lu 3:1

b Mt 14:1
Mr 6:14
Lu 9:7-9

c Jes 53:7

d Jes 53:3

e Ps 22:7

f Joh 18:38

g Mt 27:26
Joh 19:1

h Mt 27:20, 21
Mr 15:11
Joh 18:40

7 Nadat hy vasgestel het dat hy uit die regsgebied van Herodes was,^a het hy hom na Herodes toe gestuur, wat ook in daardie dae in Jerusalem was.

8 Toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly. Hy wou Jesus nou al 'n hele ruk lank ontmoet omdat hy al baie van hom gehoor het,^b en hy het gehoop dat Jesus die een of ander teken sou doen. **9** Hy het hom dus baie vroe begin vra, maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie.^c **10** Die hoofpriesters en die skrifgeleerdes het egter bly opstaan en hom van allerhande dinge beskuldig. **11** Toe het Herodes en sy soldate Jesus verneder,^d en hy het met hom die spot gedryf^e deur vir hom 'n mooi kleed aan te trek, en daarna het hy hom na Pilatus toe teruggestuur. **12** Herodes en Pilatus was voorheen vyande, maar hulle het op daardie selfde dag vriende geword.

13 Pilatus het toe die hoofpriesters, die heersers en die volk bymekaargeroep **14** en vir hulle gesê: “Julle het hierdie man na my toe gebring as iemand wat die volk opstandig maak. Ek het hom voor julle verhoor, maar ek kon geen bewyse vind van die aanklagte wat julle teen hierdie man inbring nie.”^f **15** Herodes kon ook nie enige bewyse vind nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur, en hy het niks gedoen wat die dood verdien nie. **16** Ek sal hom dus straf^g en vrylaat.” **17** *— **18** Maar hulle almal, die hele skare, het uitgeroep en gesê: “Maak hierdie man dood,* en laat Barab'bas vry!”^h **19** (Hierdie man is in die gevangenis gegooi weens 'n opstand wat in die stad plaasgevind

23:17 *Sien Aanh. A3. **23:18** *Lett. “Neem hierdie man weg”.

het en weens moord.) **20** Pilatus het weer met hulle gepraat, want hy wou Jesus vrylaat.^a **21** Toe het hulle begin skree: "Hang hom aan die paal! Hang hom aan die paal!"^b **22** Hy het 'n derde keer vir hulle gesê: "Hoekom? Wat het hierdie man gedoen wat sleg is? Ek het niks in hom gevind wat die dood verdien nie. Ek sal hom dus straf en vrylaat." **23** Toe het hulle met harde stemme daarop begin aandring dat hy aan die paal gehang moet word. En hulle het so baie geskree dat hy ingegeet het.^c **24** Toe het Pilatus besluit om te doen wat hulle vra. **25** Hy het die man vrygelaat vir wie hulle gevra het - die man wat weens opstand en moord in die tronk gegooi is - maar hy het Jesus aan hulle oorgelewer sodat hulle met hom kan doen wat hulle wil.

26 En terwyl hulle hom weggelei het, het hulle 'n sekere Simon van Sire'ne, wat van die platteland af gekom het, gegryp en die folterpaal* op hom gesit om dit agter Jesus aan te dra.^d **27** 'n Groot groep mense het hom gevolg, insluitende vrouens wat aanhoudend oor hom getreur en gehuil het. **28** Jesus het omgedraai en vir die vrouens gesê: "Dogters van Jerusalem, hou op om oor my te huil. Huil eerder oor julleself en oor julle kinders,^e **29** want daar kom dae wanneer mense sal sê: 'Gelukkig is die onvrugbare vrouens en die moederskote wat nie geboorte gegee het nie en die borste wat nie gevoed het nie!'^f **30** Dan sal hulle vir die berge begin sê: 'Val op ons!' en vir die heuwels: 'Bedek ons!'^g **31** As hulle hierdie dinge doen wanneer die boom groen is, wat

23:26 *Sien Woordelys.

HFST. 23

a Mt 27:22-26
Mr 15:12-15
Joh 19:12

b Joh 19:6

c Joh 19:15, 16

d Mr 15:21
Joh 19:17

e Mr 13:17

f Mt 24:19
Lu 21:23

g Ho 10:8

Tweede kol.

a Jes 53:12
Mt 27:38

b Mt 27:33

c Joh 19:17, 18

d Ps 22:18
Mt 27:35
Mr 15:24
Joh 19:24

e Ps 22:7, 8
Mt 27:42, 43
Mr 15:31

f Ps 69:21

g Mt 27:37
Mr 15:26
Joh 19:19

h Mt 27:44
Mr 15:32

i Lu 1:32, 33

j Jes 11:6
Jes 35:1
Jes 65:17
Han 24:15
Op 21:1

sal gebeur wanneer dit uitgedroog is?"

32 Twee ander mans, misdadigers, is ook weggelei om saam met hom doodgemaak te word.^a

33 En toe hulle by die plek kom wat Skedel genoem word,^b het hulle hom daar aan die paal gehang met die misdadigers langs hom, een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant.^c **34** Maar Jesus het gesê: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." En hulle het die lot gewerp om sy klere te verdeel.^d

35 Die volk het gestaan en kyk wat gebeur, maar die heersers het hom uitgelag en gesê: "Hy het ander gered. Laat hy homself red as hy die Christus van God is, die Een wat uitgekies is."^e **36** Selfs die soldate het hom bespot en nader gekom en vir hom suur wyn aangebied.^f **37** en gesê: "As jy die Koning van die Jode is, red jousef." **38** Daar was ook 'n opskrif bokant sy kop: "Dit is die Koning van die Jode."^g

39 Toe het een van die misdadigers wat daar gehang het, hom begin beledig^h en gesê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en red ons ook!" **40** Die ander een het streng met hom gepraat en gesê: "Het jy geen vrees vir God nie? Jy het dan nou dieselfde oordeel ontvang!

41 Dit is reg dat ons gestraf word, want ons kry ons verdienende loon, maar hierdie man het niks slegs gedoen nie." **42** Toe het hy gesê: "Jesus, dink aan my wanneer u in u Koninkryk kom."ⁱ **43** Hy het vir hom gesê: "Ek verseker jou vandag: Jy sal saam met my in die Paradys wees."^j

44 Dit was toe omtrent die sesde uur,^{*} en tog het die hele

23:44 *D.w.s. omtrent 12:00.

land donker geword, tot die negende uur* toe,^a **45** want die sonlig het verdwyn. Toe het die gordyn* van die heiligdom^b middeledeur geskeur.^c **46** En Jesus het met 'n harde stem uitge-roep: "Vader, in u hande gee ek my gees oor."^d Nadat hy dit gesê het, het hy gesterf.^{*e} **47** Omdat die militêre offisier gesien het wat gebeur het, het hy God begin loof en gesê: "Waarlik, hierdie man was regverdig."^f **48** Toe die hele skare wat daar bymekaar was, sien wat alles gebeur het, het hulle teruggegaan huis toe terwyl hulle op hulle bors geslaan het. **49** En almal wat hom geken het, het op 'n afstand gestaan. Daar was ook vrouens wat saam met hom van Galile'a af gereis het wat gesien het wat gebeur het.^g

50 Daar was 'n man met die naam Josef, wat 'n lid van die Raad was en wat 'n goeie en regverdige man was.^h **51** (Hierdie man het nie saamgestem met wat hulle beplan en gedoen het nie.) Hy was van Arimate'a, 'n stad van die Judeërs, en hy het vir die Koninkryk van God gewag. **52** Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en vir Jesus se liggaam gevra. **53** En hy het dit afgehaalⁱ en dit in fyn linne toege-draai, en hy het hom in 'n graf* neergelê wat in die rots uitgekop was^j en waarin niemand nog ooit neergelê is nie. **54** Dit was die Voorbereidingsdag,^k en die Sabbat^l sou binnekort begin. **55** Maar die vrouens wat saam met Jesus uit Galile'a gekom het, het Josef gevolg en na die graf* gekyk en gesien hoe

23:44 *D.w.s. omtrent 15:00. **23:45** *Of "voorhangsel". **23:46** *Of "sy laaste asem uitgeblaas". **23:53, 55; 24:1, 2, 9, 12** *Of "gedenkgraf".

HFST. 23

a Mt 27:45
Mr 15:33

b Eks 26:31-33

c Heb 10:19, 20

d Ps 31:5

e Mt 27:50

f Mt 27:54

g Mt 27:55, 56
Mr 15:40, 41
Lu 8:2, 3h Mt 27:57-60
Mr 15:43-46
Joh 19:38

i De 21:22, 23

j Jes 53:9

k Mr 15:42
Joh 19:42l Eks 20:9, 10
De 5:13, 14

Tweede kol.

a Mt 27:61
Mr 15:47b Eks 16:29
Eks 20:9, 10
Eks 31:15
De 5:12

HFST. 24

c Mt 28:1
Mr 16:1, 2
Joh 20:1d Mt 28:2
Mr 16:4

e Mr 16:5

f Mt 28:5-7
Mr 16:5-7g Jon 1:17
Mt 16:21
Mr 8:31
Lu 9:22

h Joh 2:22

i Mt 28:8

sy liggaam neergelê is,^a **56** en hulle het teruggegaan om sperserye en lekkerruik-olies voor te berei. Maar hulle het natuurlik op die Sabbat gerus,^b volgens die Wet.

24 Op die eerste dag van die week het hulle baie vroeg na die graf* gekom en die sperserye gebring wat hulle voorberei het.^c **2** Maar hulle het gesien dat die klip voor die graf* weggerol is,^d **3** en toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus daar gevind nie.^e **4** Terwyl hulle hieroor verstom was, kyk! toe het twee mans in skitterende klere by hulle gestaan. **5** Die vrouens het bang geword en wou nie opkyk nie, en die mans het vir hulle gevra: "Hoekom soek julle onder die dooies na die een wat lewe?"^f **6** Hy is nie hier nie, maar is opgewek. Onthou wat hy vir julle gesê het toe hy nog in Galile'a was. **7** Hy het gesê dat die Seun van die mens aan sondaars oorgelewer moet word en aan 'n paal gehang moet word en op die derde dag sal opstaan.^g **8** Toe het hulle sy woorde onthou,^h **9** en hulle het van die graf* af weggegaan en al hierdie dinge vir die Elf en vir al die ander gaan vertel.ⁱ **10** Hulle was Maria Magdalena, Johanna en Maria, die ma van Jakobus. En die res van die vrouens wat saam met hulle was, het ook hierdie dinge vir die apostels vertel. **11** Maar hulle het gedink dat die vrouens hierdie dinge opmaak, en hulle wou hulle nie glo nie.

12 Maar Petrus het opgestaan en na die graf* gehardloop, en toe hy vooroor buk, het hy net die linnedoeke gesien. Toe het hy weggegaan en gewonder wat gebeur het.

13 Maar op daardie selfde dag het twee van hulle gereis na 'n dorpie met die naam Em'maus, wat omtrent 11 kilometer* van Jerusalem af was, **14** en hulle het met mekaar gepraat oor alles wat gebeur het.

15 Terwyl hulle gepraat en hierdie dinge bespreek het, het Jesus self na hulle toe gekom en saam met hulle begin loop, **16** maar hulle kon hom nie herken nie.^a **17** Hy het vir hulle gevra: "Waaroor loop julle so en praat?" Hulle het gaan stilstaan en hartseer gelyk. **18** Die een met die naam Kle'opas het geantwoord: "Is u 'n vreemdeling wat alleen in Jerusalem woon, en weet u nie van* die dinge wat in hierdie dae daar gebeur het nie?" **19** Hy het vir hulle gevra: "Watter dinge?" Hulle het vir hom gesê: "Die dinge oor Jesus die Nasarener,^b 'n profeet wat kragtig was in woord en daad voor God en die hele volk.^c **20** Ons hoofpriesters en heersers het hom oorgelewer om die doodstraf te ontvang,^d en hulle het hom aan 'n paal gehang. **21** Maar ons het gehoop dat hierdie man die een was wat Israel sou verlos.^e Ja, en buiten al hierdie dinge is dit nou al die derde dag sedert dit alles gebeur het. **22** En party vrouens wat saam met ons was, het ons iets vertel wat ons ook verbaas het. Hulle het vroeg na die graf* toe gegaan,^f **23** en toe hulle nie sy liggaam daar vind nie, het hulle kom sê dat engele aan hulle verskyn het en vir hulle gesê het dat hy lewe. **24** Toe het party van dié wat by ons was, na die graf* gegaan,^g en hulle het

24:13 *Lett. "60 stadie". 'n Stadie was gelyk aan 185 m. Sien Aanh. B14. 24:18 *Of moontlik "Is u die enigste besoeker in Jerusalem wat nie weet van". 24:22, 24 *Of "gedenkggraf".

HFST. 24

a Joh 20:14
Joh 21:4

b Mt 2:23
Mt 21:11

c De 18:18
Lu 7:15, 16
Joh 3:2
Joh 6:14
Han 2:22

d Lu 23:1
Han 3:13
Han 13:27, 28

e Han 1:6

f Mt 28:1, 8
Lu 24:9-11

g Lu 24:12
Joh 20:3

Tweede kol.

a Ps 22:16-18
Jes 53:7-9
1Kor 15:3

b Flp 2:9-11
Heb 2:9
1Pe 1:11

c Joh 1:45
Han 10:43
Han 26:22

d Mt 14:19
Mt 15:36
Mr 6:41

e Joh 20:19

f 1Kor 15:3, 5

g Lu 24:30, 31

dit gevind net soos die vrouens gesê het, maar hulle het hom nie gesien nie."

25 Toe sê hy vir hulle: "O onverstandiges, wat stadig is* om alles te glo wat die profete gesê het! **26** Moes die Christus nie hierdie dinge deurmaak^a om verheerlik te word nie?"^b **27** En hy het by Moses en al die Profete^c begin en aan hulle verduidelik wat in die hele Skrif oor hom gesê is.

28 Uiteindelik het hulle naby die dorpie gekom waarheen hulle op pad was, en hy het gemaak asof hy verder wou reis. **29** Maar hulle het aangedring: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is amper verby." Toe het hy by die huis ingegaan en by hulle gebly. **30** Terwyl hy saam met hulle geëet het,* het hy die brood geneem, gebid, dit gebreek en vir hulle begin gee.^d **31** Toe is hulle oë ten volle geopen en het hulle hom herken, maar hy het voor hulle verdwyn.^e **32** Hulle het vir mekaar gesê: "Het ons harte nie in ons gebrand toe hy op die pad met ons gepraat het, toe hy die Skrif ten volle aan ons verduidelik* het nie?" **33** En in daardie selfde uur het hulle opgestaan en teruggegaan na Jerusalem toe. Hulle het die Elf en dié wat saam met hulle was, bymekaar gevind, **34** wat gesê het: "Die Here is werklik opgewek en het aan Simon verskyn!"^f **35** Toe het die twee dissipels vertel wat op die pad gebeur het en hoe hulle hom herken het toe hy die brood gebreek het.^g

36 Terwyl hulle oor hierdie dinge gepraat het, het Je-

24:25 *Of "wat traag van hart is". 24:30 *Of "aan tafel was". 24:32 *Lett. "ten volle vir ons geopen".

sus self tussen hulle gestaan en vir hulle gesê: “Mag julle vrede hê.”^a **37** Maar omdat hulle gedink het dat hulle ’n gees sien, het hulle geskrik en bang geword. **38** Toe het hy vir hulle gevra: “Hoekom is julle ontsteld, en hoekom twyfel julle in julle harte? **39** Kyk na my hande en my voete. Dit is regtig ek. Raak aan my en kyk, want ’n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat ek het nie.” **40** En terwyl hy dit gesê het, het hy sy hande en sy voete vir hulle gewys. **41** Maar toe hulle van blydschap en verbasing nog nie glo nie, het hy vir hulle gesê: “Het julle iets daar om te eet?” **42** Toe het hulle vir hom ’n stuk geroosterde vis gegee, **43** en hy het dit gevat en dit voor hulle geëet.

44 Daarna het hy vir hulle gesê: “Toe ek nog by julle was, het ek vir julle gesê^b dat alles wat in die Wet van Moses en in die boeke van die profete en die Psalms oor my geskryf is, vervul moet word.”^c **45** Toe het

HFST. 24

a Joh 20:21

b Mt 16:21
Lu 9:22

c Lu 24:27

Tweede kol.

a Joh 12:16

b Jes 53:5
Mr 9:31

c Han 5:31

d Han 4:1, 2
Han 5:27, 28

e Ga 3:14

f Joh 15:26, 27
Han 1:8g Jl 2:28
Joh 14:16
Han 1:4, 5
Han 2:1, 4

h Han 1:9

i Joh 16:22
Han 1:12

j Han 2:46, 47

hy hulle verstande ten volle geopen sodat hulle kon verstaan wat die Skrif beteken,^a **46** en hy het vir hulle gesê: “Daar is geskryf dat die Christus sou ly en op die derde dag uit die dood sou opstaan.^b **47** En op grond van sy naam sal daar verkondig word dat mense berou moet toon sodat hulle sondes vergeve kan word.^c Dit sal in Jerusalem begin^d en aan al die nasies verkondig word.^e **48** Julle moet getuies van hierdie dinge wees.^f **49** En ek stuur aan julle wat my Vader belowe het. Julle moet egter in die stad bly totdat julle krag van bo ontvang.”^g

50 Toe het hy hulle uit die stad uitgelei tot by Beta’nië, en hy het sy hande opgelig en hulle geseën. **51** Terwyl hy hulle geseën het, is hy van hulle geskei en na die hemel opgeneem.^h **52** Hulle het aan hom eer bewys* en met groot vreugde na Jerusalem teruggekeer.ⁱ **53** En hulle was elke dag in die tempel en het God geloof.^j

24:52 * Of “voor hom neergebuig”.

VOLGENS

JOHANNES

OORSIG

- | | |
|--|---|
| 1 Die Woord het vlees geword (1-18)
Getuienis van Johannes die Doper (19-28)
Jesus, die Lam van God (29-34)
Jesus se eerste dissipels (35-42)
Filippus en Natanael (43-51) | 3 Jesus en Nikodemus (1-21)
Weer gebore (3-8)
God het die wêreld liefgehad (16)
Johannes se laaste getuienis oor Jesus (22-30)
Die een wat van bo kom (31-36) |
| 2 Troue in Kana; water in wyn verander (1-12)
Jesus reinig die tempel (13-22)
Jesus weet wat in die mens is (23-25) | 4 Jesus en die Samaritaanse vrou (1-38)
Aanbid God “met gees en waarheid” (23, 24)
Baie Samaritane glo in Jesus (39-42) |

- Jesus genees 'n amptenaar se seun (43-54)
- 5 Siek man by Betsata genees (1-18)
Vader het Jesus gesag gegee (19-24)
Dooies sal Jesus se stem hoor (25-30)
Getuienis oor Jesus (31-47)
- 6 Jesus voed 5 000 (1-15)
Jesus loop op water (16-21)
Jesus, "die brood van die lewe" (22-59)
Jesus se woorde laat baie mense struikel (60-71)
- 7 Jesus by die Loofhuttefees (1-13)
Jesus leer mense by die fees (14-24)
Verskillende opinies oor die Christus (25-52)
- 8 Die Vader getuig oor Jesus (12-30)
Jesus, "die lig van die wêreld" (12)
Kinders van Abraham (31-41)
"Die waarheid sal julle vrymaak" (32)
Kinders van die Duiwel (42-47)
Jesus en Abraham (48-59)
- 9 Jesus genees man wat blind gebore is (1-12)
Fariseërs ondervra man wat genees is (13-34)
Blindheid van die Fariseërs (35-41)
- 10 Die herder en die skaapkrake (1-21)
Jesus is die goeie herder (11-15)
"Ek het ander skape" (16)
Jode kry Jesus by die Toewydingsfees (22-39)
Baie Jode weier om te glo (24-26)
"My skape luister na my stem" (27)
Seun in eenheid met Vader (30, 38)
Baie oorkant die Jordaan glo (40-42)
- 11 Lasarus se dood (1-16)
Jesus vertroos Marta en Maria (17-37)
Jesus wrek Lasarus op (38-44)
Plan om Jesus dood te maak (45-57)
- 12 Maria gooi olie op Jesus se voete (1-11)
Jesus kom Jerusalem triomfantlik binne (12-19)
Jesus voorspel sy dood (20-37)
Jode se gebrek aan geloof vervul profesie (38-43)
Jesus het gekom om die wêreld te red (44-50)
- 13 Jesus was sy dissipels se voete (1-20)
Jesus identifiseer Judas as verraaier (21-30)
Nuwe gebod (31-35)
"As julle liefde vir mekaar het" (35)
Jesus voorspel dat Petrus hom sal verloën (36-38)
- 14 Jesus, die enigste weg tot die Vader (1-14)
'Ek is die weg, die waarheid, die lewe' (6)
Jesus belowe heilige gees (15-31)
"Die Vader is groter as ek" (28)
- 15 Illustrasie van ware wingerdstok (1-10)
Gebod om lief te hê soos Christus (11-17)
'Niemand het groter liefde as dit nie' (13)
Die wêreld haat Jesus se dissipels (18-27)
- 16 Dissipels sal dalk doodgemaak word (1-4a)
Werk van die heilige gees (4b-16)
Dissipels se hartseer sal in vreugde verander (17-24)
Jesus het die wêreld oorwin (25-33)
- 17 Jesus se laaste gebed saam met apostels (1-26)
Leer ken God om ewige lewe te ontvang (3)
Christene geen deel van wêreld (14-16)
"U woord is die waarheid" (17)
'Ek het u naam bekend gemaak' (26)
- 18 Judas verraai Jesus (1-9)
Petrus gebruik 'n swaard (10, 11)
Jesus na Annas geneem (12-14)
Petrus verloën Jesus eerste keer (15-18)
Jesus voor Annas (19-24)
Petrus verloën Jesus tweede en derde keer (25-27)
Jesus voor Pilatus (28-40)
'My Koninkryk geen deel van hierdie wêreld' (36)
- 19 Jesus met 'n gésel geslaan en bespot (1-7)
Pilatus ondervra Jesus weer (8-16a)
Jesus aan 'n paal gehang by Golgota (16b-24)

- Jesus tref reëlings vir sy ma (25-27)
 Jesus se dood (28-37)
 Jesus word begrawe (38-42)
- 20 Die leë graf (1-10)
 Jesus verskyn aan Maria
 Magdalena (11-18)
 Jesus verskyn aan sy dissipels (19-23)
 Tomas twyfel maar glo later (24-29)
 Doel van hierdie boekrol (30, 31)

- 21 Jesus verskyn aan sy dissipels (1-14)
 Petrus bevestig sy liefde vir
 Jesus (15-19)
 “Voed my skapies” (17)
 Toekoms van Jesus se geliefde
 dissipel (20-23)
 Slot (24, 25)

1 In die begin was die Woord,^a en die Woord was by God,^b en die Woord was 'n god.^{*c}
2 Dié een was in die begin by God. **3** Alles het deur hom ontstaan,^d en sonder hom het nie 'n enkele ding ontstaan nie.

Wat ontstaan het **4** deur middel van hom, was lewe, en die lewe was die lig van die mense.^e **5** En die lig skyn in die duisternis,^f maar die duisternis het dit nie oorweldig nie.

6 Daar het 'n man gekom wat as 'n verteenwoordiger van God gestuur is. Sy naam was Johannes.^g **7** Hierdie man het gekom as 'n getuig om van die lig te getuig,^h sodat alle soorte mense deur middel van hom sou glo. **8** Hy was nie self daardie lig nie,ⁱ maar hy moes van daardie lig getuig.

9 Die ware lig wat vir elke soort mens lig gee, het op die punt gestaan om in die wêreld in te kom.^j **10** Hy was in die wêreld^k en die wêreld het deur hom ontstaan,^l maar die wêreld het hom nie geken nie. **11** Hy het na sy mense toe gekom, maar hulle het hom nie aanvaar nie. **12** Maar aan almal wat hom wel aanvaar het, het hy die reg gegee om God se kinders te word,^m omdat hulle geloof in sy naam

1:1 *Of “goddelik”.

HFST. 1

- a Kol 1:15
 Op 19:11, 13
 b Spr 8:22, 30
 c Jes 9:6
 Joh 1:18
 Flp 2:5, 6
 d Joh 1:10
 e Joh 8:12
 f Joh 3:19
 g Mt 3:1
 Lu 3:2
 h Mt 3:11
 i Joh 1:19, 20
 j Mt 4:16, 17
 Joh 3:19
 Joh 12:46
 1Jo 2:8
 k Joh 1:14
 l Ge 1:26
 1Kor 8:6
 Kol 1:16
 Heb 1:2
 m Ro 8:14, 16
 2Kor 6:18
 Ef 1:5
 1Jo 3:1

Tweede kol.

- a Ga 3:26
 b Joh 3:3
 1Pe 1:23
 1Jo 3:9
 c Flp 2:7
 1Ti 3:16
 Heb 2:14
 d Joh 3:16
 1Jo 4:9
 e Joh 8:58
 f Eks 31:18
 g Ro 3:23, 24
 Ef 1:5, 6
 h Joh 8:31, 32
 Joh 14:6
 Joh 18:37
 i Eks 33:17, 20
 Joh 6:46
 j Joh 1:1
 k Spr 8:22, 30
 l Mt 11:27

beoefen het.^a **13** En hulle is nie uit vlees of uit bloed of uit die wil van 'n man gebore nie, maar uit God.^b

14 Die Woord het 'n mens* geword^c en onder ons gewoon. Ons het sy heerlikheid gesien, 'n heerlikheid soos dié van 'n eniggebore seun^d wat van 'n vader kom, en hy was vol onverdiende goedheid^e en waarheid.

15 (Johannes het van hom getuig, en hy het uitgeroep: “Hy is die een van wie ek gesê het: ‘Die een wat ná my kom, het voor my uit gegaan, want hy het voor my bestaan.’”)^e **16** Uit sy oorvloed het ons 'n oorvloed onverdiende goedheid* ontvang. **17** Want die Wet is deur middel van Moses gegee,^f maar die onverdiende goedheid^g en die waarheid het deur middel van Jesus Christus gekom.^h **18** Geen mens het God al ooit gesien nie.ⁱ Die eniggebore god^{*j} wat aan die Vader se sy is,^{*k} het duidelik gemaak wie Hy is.^l

19 Die Jode het priesters en Leviete uit Jerusalem gestuur

1:14 *Lett. “vlees”. [#]Of “guns van God”. **1:16** *Lett. “onverdiende goedheid op onverdiende goedheid”. **1:18** *Of “Die enigste Seun wat direk deur God gemaak is”. [#]Of “in die boesemposisie by die Vader is”. Verwys na 'n posisie van spesiale guns.

om vir Johannes te vra: "Wie is jy?"^a **20** Hy het die vraag beantwoord deur reguit te sê: "Ek is nie die Christus nie." **21** Hulle het vir hom gevra: "Nou wat dan? Is jy Eli'a?"^b Hy het geantwoord: "Ek is nie." "Is jy die Profeet?"^c En hy het gesê: "Neel!" **22** Toe het hulle vir hom gesê: "Wie is jy? Sê vir ons sodat ons 'n antwoord kan gee aan die mense wat ons gestuur het. Wat het jy oor jouself te sê?" **23** Hy het gesê: "Ek is die een wat in die wildernis uitroep: 'Maak die weg van Jehovah* reguit,'^d net soos die profeet Jesaja gesê het."^e **24** Hierdie mense is deur die Fariseërs gestuur. **25** Daarom het hulle hom uitgevra en vir hom gesê: "Hoekom doop jy dan mense as jy self nie die Christus of Eli'a of die Profeet is nie?" **26** Johannes het geantwoord: "Ek doop in water. Onder julle staan iemand wat julle nie ken nie, **27** die een wat ná my kom, en ek is nie waardig om die riem van sy sandaal los te maak nie."^f **28** Dit het in Beta'nië oorkant die Jordaanrivier gebeur, waar Johannes mense gedoop het.^g

29 Die volgende dag het hy Jesus na hom toe sien kom, en hy het gesê: "Kyk, die Lam^h van God wat die sondeⁱ van die wêreld wegneem!" **30** Hy is die een van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man wat voor my uit gegaan het, want hy het voor my bestaan.^k **31** Selfs ek het hom nie geken nie, maar ek doop in water sodat hy aan Israel bekend gemaak kan word."^l **32** Johannes het ook getuig en gesê: "Ek het die gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en dit het op hom gebly."^m **33** Selfs ek het hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om in water te doop, het vir

HFST. 1

a Lu 3:15

b Mal 4:5

c De 18:15
Joh 6:14,15
Joh 7:37,40
Han 3:22

d Jes 40:3

e Mt 3:1,3
Mr 1:3
Lu 1:67,76
Lu 3:3,4
Lu 7:27,28

f Mt 3:11

g Mt 3:1,6

h Han 8:32,35
1Pe 1:18,19
Op 5:6i Jes 53:7,11
1Kor 15:3
Heb 9:13,14
1Pe 2:24
1Jo 3:5j Joh 6:51
1Jo 2:1,2
1Jo 4:14

k Joh 1:15

l Han 19:4

m Mt 3:16
Mr 1:10
Lu 3:22

Tweede kol.

a Mt 3:16

b Mt 3:11
Han 1:5
Han 2:1,4

c Mt 3:17

d Op 5:12

e Mt 4:18

f Da 9:25

g Mt 10:2
Han 15:14

h Mt 16:18

i Mt 10:2,3

j Mt 10:2,3
Lu 6:13,14

my gesê: 'Die een op wie jy die gees sien neerdaal en op wie dit bly,^a dit is hy wat in heilige gees doop.'^b **34** Ek het dit gesien, en ek het getuig dat hy die Seun van God is."^c

35 Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan met twee van sy dissipels, **36** en toe hy Jesus sien verbyloop, het hy gesê: "Kyk, die Lam^d van God!" **37** Toe die twee dissipels hoor wat hy sê, het hulle Jesus gevolg. **38** Jesus het omgedraai, en toe hy sien dat hulle hom volg, het hy vir hulle gevra: "Wat soek julle?" Hulle het vir hom gesê: "Rabbi, waar bly u?" (Rabbi beteken "leermeester".) **39** Hy het vir hulle gesê: "Kom, en julle sal sien." Toe het hulle saamgegaan en gesien waar hy bly. Dit was toe omtrent die tiende uur,^e en hulle het vir die dag by hom gebly. **40** Andre'as,^e die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat gehoor het wat Johannes gesê het en Jesus gevolg het. **41** Hy het heel eerste na sy broer Simon gegaan en vir hom gesê: "Ons het die Messias^f gevind." (Messias word as "Christus" vertaal.) **42** Toe het hy hom na Jesus toe geneem. Jesus het na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon,^g die seun van Johannes. Van nou af sal jy Sefas genoem word." (Sefas word as "Petrus" vertaal.)^h

43 Die volgende dag wou Jesus na Galile'a vertrek. Toe het hy Filippusⁱ gevind en vir hom gesê: "Word my volgeling." **44** Filippus was van Betsa'ida, die stad van Andre'as en Petrus. **45** Filippus het Natta'nael^j gevind en vir hom gesê: "Ons het die een gevind van wie daar in die Wet van Moses en die boeke van die pro-

fete geskryf is. Hy is Jesus, die seun van Josef,^a van Na'saret."

46 Maar Nata'nael het vir hom gevra: "Kan enigiets goeds uit Na'saret kom?" Filippus het vir hom gesê: "Kom kyk." **47** Toe Jesus Nata'nael na hom toe sien kom, het hy gesê: "Kyk, hier is beslis 'n Israeliet wat eerlik en opreg is."^b **48** Nata'nael het vir hom gevra: "Hoe is dit dat u my ken?" Jesus het geantwoord: "Ek het jou gesien nog voordat Filippus jou geroep het, terwyl jy onder die vyeboom was." **49** Nata'nael het vir hom gesê: "Rabbi, u is die Seun van God, u is Koning van Israel."^c **50** Jesus het toe vir hom gesê: "Glo jy omdat ek vir jou gesê het dat ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal groter dinge as dit sien." **51** Hy het verder gesê: "Ek verseker julle: Julle sal die hemel open sien en die engele van God sien opstyg en neerdaal na die Seun van die mens."^d

2 En op die derde dag was daar 'n huweliksfees in Kana in Galile'a, en Jesus se ma was daar. **2** Jesus en sy dissipels is ook na die huweliksfees genooi.

3 Toe die wyn opraak, het Jesus se ma vir hom gesê: "Hulle het nie wyn nie." **4** Maar Jesus het vir haar gesê: "Ma, wat het dit met ons te doen?" My uur het nog nie gekom nie." **5** Sy ma het vir die mense wat die gaste bedien het, gesê: "Doen wat hy ook al vir julle sê." **6** En daar het ses waterhouers van klip gestaan, volgens wat vir die Jode voorgeskryf is vir die reiniging.^e Elkeen kon twee of drie vloeistofmate* hou. **7** Je-

2:4 *Lett. "Wat vir my en vir u, vrou?" Dit is 'n idioom wat 'n beswaar aandui. Die gebruik van "vrou" was nie 'n teken van disrespek nie. **2:6** *Waarskynlik die bat, wat gelyk was aan 22 l. Sien Aanb. B14.

HFST. 1

a Mt 1:16
Mt 13:55
Lu 2:4

b Joh 2:24, 25

c Mt 27:11
Lu 1:31, 32
Joh 12:13

d Ge 28:10, 12
Ps 104:4
Da 7:13
Mt 4:11
Lu 22:43

HFST. 2

e Mr 7:3

Tweede kol.

a Jes 9:1, 2
Joh 1:14

b Mt 13:55
Mr 3:31
Lu 8:19
Han 1:14

c Mt 4:13

d Eks 12:14
Nu 28:16
De 16:1
Joh 11:55

e Le 1:14

f Mt 21:12
Mr 11:15, 16
Lu 19:45

sus het vir hulle gesê: "Maak die houers vol water." En hulle het dit tot aan die rand vol gemaak. **8** Toe het hy vir hulle gesê: "Skep nou daarvan uit en neem dit na die feesleier toe." En hulle het dit geneem. **9** Die feesleier het die water geproe wat nou in wyn verander is, maar hy het nie geweet waar dit vandaan kom nie. (Die mense wat die water uitgeskep het, het wel geweet.) Toe het die feesleier die bruidegom geroep **10** en vir hom gesê: "Mense bedien eers die goeie wyn, en wanneer die gaste dronk is, bedien hulle die wyn van swakker gehalte. Jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou." **11** Jesus het dit in Kana in Galile'a gedoen, en dit was sy eerste wonderwerk.* Dit het sy krag^a bekend gemaak,^a en sy dissipels het geloof in hom gestel.

12 Hierna het hy saam met sy ma, sy broers^b en sy dissipels na Kaper'naum^c gegaan, maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.

13 Die Pasga^d van die Jode was naby, en Jesus het na Jerusalem gegaan. **14** En toe hy by die tempel ingaan, was daar mense wat beeste en skape en duiwe^e verkoop het, en die geldwisselaars* het daar gesit. **15** En nadat hy 'n sweep van toue gemaak het, het hy hulle almal uit die tempel uitgejaag, saam met die skape en die beeste, en hy het die muntstukke van die geldwisselaars uitgegooi en hulle tafels omgekeer.^f **16** Hy het vir die duiweverkopers gesê: "Vat hierdie goed hier weg! Hou op om die huis van my Vader 'n besigheidsplek

2:11 *Lett. "teken". ^aOf "heerlikheid".

2:14 *D.w.s. mense wat wins gemaak het deur een geldsoort vir 'n ander te ruil.

te maak!"^a **17** Sy dissipels het onthou dat daar geskryf is: "Die ywer vir u huis sal my verteer."^b

18 Daarom het die Jode vir hom gevra: "Watter teken kan jy vir ons gee^c om te bewys dat jy die reg het om hierdie dinge te doen?" **19** Jesus het hulle geantwoord: "Breek hierdie tempel af, en ek sal dit in drie dae weer opbou."^d **20** Toe het die Jode gesê: "Hierdie tempel is in 46 jaar gebou, en sal jy dit in drie dae weer opbou?" **21** Maar hy het van die tempel van sy liggaam gepraat.^e **22** Toe hy egter uit die dood opgewek is, het sy dissipels onthou dat hy dit dikwels gesê het,^f en hulle het die Skrifgedeelte en Jesus se woorde geglo.

23 Maar toe hy in Jerusalem by die Pasgafees was, het baie mense geloof in sy naam gestel toe hulle die wonderwerke* sien wat hy gedoen het. **24** Maar Jesus het nie sy vertrouwe heeltemal in hulle gestel nie, omdat hy hulle almal geken het **25** en omdat dit vir niemand nodig was om vir hom enigiets oor mense te vertel nie, want hy het geweet wat in die mens is.^g

3 Daar was 'n Fariseër met die naam Nikode'mus,^h wat 'n leier van die Jode was. **2** Hy het in die nagⁱ na Jesus toe gekom en vir hom gesê: "Rabbi,^j ons weet dat u as 'n leermeester van God af gekom het, want niemand kan hierdie wonderwerke*^k doen wat u doen tensy God met hom is nie."^l **3** Jesus het vir hom gesê: "Ek verseker jou: As iemand nie weer* gebore word nie,^m kan hy die Koninkryk van God nie sien nie."ⁿ **4** Nikode'mus het vir hom gevra: "Hoe kan 'n mens gebore word as hy

HFST. 2

- a Jer 7:11
Mt 21:13
Mr 11:17
Lu 19:46
b Ps 69:9
c Mt 12:38
Mt 16:1
Joh 4:48
Joh 6:30
d Mt 26:59-61
Mt 27:39,40
Mr 14:57,58
e Mt 16:21
f Lu 24:6-8
g Mt 9:3,4
Mr 2:6-8
Joh 1:47,48
Joh 6:64
Op 2:23

HFST. 3

- h Joh 7:50,51
Joh 19:39
i Joh 12:42
j Joh 1:38
k Joh 2:11
l Joh 14:11
Han 2:22
Han 10:38
m Joh 1:12,13
1Pe 1:3,23
1Jo 3:9
n 1Kor 15:50

Tweede kol.

- a Mt 28:19
Han 8:36
Han 10:47
b Mt 3:11
Han 1:5
Han 10:45
Han 19:5,6
c Ro 8:14,16
d Han 2:34
e Joh 6:38
Joh 8:23,42
f Nu 21:8,9
g Joh 8:28
Ga 3:13
h Joh 3:36
Joh 20:31
i Ro 5:8
Ro 8:32
1Jo 4:9,10
1Jo 4:19
j Joh 6:40
Joh 20:31
Ro 6:23
2Ti 3:15
1Jo 5:13

al oud is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy ma se baarmoeder ingaan en gebore word nie, of hoe?" **5** Jesus het geantwoord: "Ek verseker jou: As iemand nie uit water^a en gees^b gebore word nie, kan hy nie in die Koninkryk van God ingaan nie. **6** Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die gees gebore is, is gees. **7** Moenie verbaas wees omdat ek vir jou gesê het dat julle weer gebore moet word nie. **8** Die wind waai waar dit wil, en jy hoor die geluid daarvan, maar jy weet nie waar dit vandaan kom en waarheen dit gaan nie. So is elkeen wat uit die gees gebore is."^c

9 Nikode'mus het vir hom gevra: "Hoe kan hierdie dinge gebeur?" **10** Jesus het geantwoord: "Hoe kan jy 'n leermeester van Israel wees en tog nie hierdie dinge weet nie? **11** Ek verseker jou: Ons praat oor wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, maar julle aanvaar nie ons getuienis nie. **12** Julle glo my nie eers wanneer ek julle van aardse dinge vertel nie. Hoe sal julle my dan glo as ek julle van hemelse dinge vertel? **13** Wat meer is, geen mens het na die hemel opgevaar nie,^d behalwe hy wat uit die hemel neergedaal het,^e die Seun van die mens. **14** En net soos Moses die slang in die wildernis opgelig het,^f so moet die Seun van die mens opgelig word,^g **15** sodat elkeen wat in hom glo, die ewige lewe kan hê.^h

16 "Want God het die wêreld so lief gehad dat hy sy eniggebore Seun* gegee het,ⁱ sodat elkeen wat geloof in hom beoefen, nie vernietig sal word nie, maar die ewige lewe kan hê.^j **17** Want God het nie sy Seun

2:16 *Of "'n plek te maak waar daar handel gedryf word". 2:23; 3:2 *Lett. "tekens". 3:3 *Of moontlik "van bo".

3:16 *Of "die enigste Seun wat direk deur God gemaak is".

in die wêreld uitgestuur om die wêreld te oordeel nie, maar sodat die wêreld deur middel van hom gered kan word.^a **18** Enigiemand wat geloof in hom beoefen, sal nie geoordeel word nie.^b Enigiemand wat nie geloof beoefen nie, is reeds geoordeel, omdat hy nie geloof in die naam van die eniggebore Seun van God* beoefen het nie.^c **19** Die lig het in die wêreld ingekom,^d maar die mense was liever vir die duisternis as vir die lig, want hulle doen wat sleg is. Dit is hoekom hulle geoordeel sal word. **20** Want enigiemand wat walglike dinge doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, sodat sy werke nie bekend* sal word nie. **21** Maar enigiemand wat doen wat goed is, kom na die lig,^e sodat sy werke bekend gemaak kan word as werke wat in ooreenstemming met God gedoen is.^f

22 Daarna het Jesus en sy dissipels na die Judese platteland gegaan, en hy het 'n ruk lank saam met hulle daar gebly en mense gedoop.^f **23** Maar Johannes het ook mense in Enon naby Salim gedoop omdat daar baie water was.^g Mense het bly kom en is gedoop,^h **24** want Johannes was nog nie in die tronk nie.ⁱ

25 Die dissipels van Johannes het met 'n Jood gestry oor die reiniging. **26** Toe het hulle na Johannes toe gekom en vir hom gesê: "Rabbi, die man wat oorkant die Jordaanrivier saam met u was, van wie u getuig het,^j kyk, hy doop mense, en almal gaan na hom toe." **27** Johannes het geantwoord: "'n Mens kan niks ontvang tensy dit uit die hemel aan hom gegee is

3:18 *Of "die enigste Seun van direk deur God gemaak is". 3:20 *Lett. "te-reggewys".

HFST. 3

- a Lu 19:10
Joh 12:47
1Kor 15:22
2Kor 5:18, 19
1Ti 1:15
1Jo 2:1, 2
1Jo 4:14
b Joh 5:24
c Mt 10:33
Heb 10:29
d Joh 1:9
Joh 8:12
Joh 9:5
Joh 12:46
e Joh 12:36, 46
1Jo 1:7
f Joh 4:2
g Mr 1:10
Han 8:38
h Mt 3:1, 5, 6
i Mt 14:3
Lu 3:19, 20
j Joh 1:33, 34

Tweede kol.

- a Joh 1:19, 20
b Mt 11:7, 10
Lu 1:13, 17
c 2Kor 11:2
Ef 5:25
Op 21:9
d Joh 8:23
e Mt 3:11
f Joh 8:26
Joh 15:15
g Joh 1:11
Joh 3:11
h 1Jo 5:10
i Joh 7:16
j Joh 5:20
Joh 15:9, 10
k Mt 11:27
Lu 10:22
l Joh 3:16
Joh 6:47
Ro 1:17
Heb 5:9
m 2Te 1:7, 8
1Jo 5:12
n Ef 5:5, 6
Heb 10:26, 27

HFST. 4

- o Joh 3:22

nie. **28** Julle is getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Christus nie,^a maar ek is voor hom uit gestuur.'^b **29** Die bruid behoort aan die bruidegom.^c Maar die vriend van die bruidegom is baie bly wanneer hy by die bruidegom staan en sy stem hoor. Daarom loop ek oor van vreugde. **30** Hy moet al hoe meer word, maar ek moet al hoe minder word.^d

31 Die een wat van bo kom,^d is oor alle mense. Die een wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat oor dinge van die aarde. Die een wat uit die hemel kom, is oor alle mense.^e **32** Hy getuig oor wat hy gesien en gehoor het,^f maar niemand aanvaar sy getuienis nie.^g **33** Die een wat sy getuienis aanvaar het,^h het bevestig dat God troubaar is.^h **34** Want die een wat deur God gestuur is, spreek die woorde van God,ⁱ want Hy gee sy gees in oorvloed.* **35** Die Vader het die Seun liefⁱ en het alles in sy hand gegee.^k **36** Die een wat geloof in die Seun beoefen, het die ewige lewe.^l Die een wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie,^m maar die woede van God bly op hom.ⁿ

4 Toe die Here bewus word dat die Fariseërs gehoor het dat hy* meer dissipels maak en doop^o as Johannes - **2** al was dit nie Jesus self wat die mense gedoop het nie, maar sy dissipels - **3** het hy Jude'a verlaat en weer na Galile'a vertrek. **4** Maar hy moes deur Samari'a gaan. **5** Toe het hy by 'n stad van Samari'a gekom wat Sagar genoem word, naby die stuk grond wat Jakob vir sy seun

3:33 *Lett. "sy seël daarop gedruk het". 3:34 *Lett. "nie volgens maat nie". Of "nie in beperkte mate nie". 4:1 *Lett. "Jesus".

Josef gegee het.^a **6** Jakob se put was daar.^b En Jesus, wat moeg was van die reis, het by die put* gesit. Dit was omtrent die sesde uur.[#]

7 'n Vrou van Samari'a het gekom om water te skep. Jesus het vir haar gesê: "Gee my 'n bietjie water om te drink."

8 (Want sy dissipels het in die stad ingegaan om kos te koop.)

9 Toe het die Samaritaanse vrou vir hom gevra: "Hoe kan u, wat 'n Jood is, vir my, wat 'n Samaritaanse vrou is, 'n bietjie water vra om te drink?" (Want Jode het niks met Samaritane te doen nie.)^c

10 Jesus het vir haar gesê: "As jy geweet het van die vrye gawe van God^d en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee my 'n bietjie water om te drink,' sou jy hom gevra het, en hy sou vir jou lewende water gegee het."^e

11 Sy het vir hom gesê: "Meneer, u het nie eers 'n emmer om water mee te skep nie, en die put is diep. Waar kry u dan hierdie lewende water vandaan?" **12** U is tog nie groter as ons voorvader Jakob, wat vir ons die put gegee het en wat self saam met sy seuns en sy vee daaruit gedrink het nie, of hoe?" **13** Jesus het vir haar gesê: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word."

14 Wie ook al van die water drink wat ek hom sal gee, sal nooit dors word nie,^f maar die water wat ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel om die ewige lewe te gee."^g **15** Die vrou het vir hom gesê: "Meneer, gee my hierdie water, sodat ek nie dors sal word of gedurig hierheen hoef te kom om water te skep nie."

16 Hy het vir haar gesê: "Gaan roep jou man en kom

4:6 *Of "fontein". #D.w.s. omtrent 12:00.

HFST. 4

a Ge 33:18, 19
Jos 24:32

b Joh 4:12

c 2Kn 17:24
Han 10:28

d Ef 2:8

e Joh 7:37

f Joh 6:35

g Joh 7:38
Ro 6:23
1Jo 5:20

Tweede kol.

a Lu 7:16
Joh 9:17

b De 12:5, 6
1Kn 9:3
2Kr 7:12
Ps 122

c 2Kn 17:29, 33

d Jes 2:3
Ro 9:4

e 2Kr 16:9

f 2Kor 3:17
1Ti 1:17
Heb 11:27

g Ro 12:1

h Joh 9:35-37

hierheen." **17** Die vrou het geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." Jesus het vir haar gesê: "Jy is reg wanneer jy sê: 'Ek het nie 'n man nie.' **18** Want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Wat jy gesê het, is waar." **19** Die vrou het vir hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is."^a

20 Ons voorvaders het op hierdie berg aanbid, maar julle sê dat Jerusalem die plek is waar mense moet aanbid."^b **21** Jesus het vir haar gesê: "Vrou, glo my: Die uur kom wanneer julle die Vader nie op hierdie berg of in Jerusalem sal aanbid nie."

22 Julle aanbid wat julle nie ken nie.^c Ons aanbid wat ons ken, want redding begin by die Jode.^d **23** Maar die uur kom, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader met gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek juis sulke mense om hom te aanbid.^e **24** God is 'n Gees,^f en dié wat hom aanbid, moet met gees en waarheid aanbid."^g **25** Die vrou het vir hom gesê: "Ek weet dat die Messi'as kom, wat Christus genoem word. Wanneer hy kom, sal hy alles openlik aan ons bekend maak." **26** Jesus het vir haar gesê: "Dit is ek, die een wat nou met jou praat."^h

27 Op daardie oomblik het sy dissipels daar aangekom, en hulle was verbaas omdat hy met 'n vrou praat. Natuurlik het niemand gevra: "Wat wil u by haar hê?" of: "Hoekom praat u met haar?" nie. **28** Toe het die vrou haar waterhouer daar gelos en in die stad ingegaan en vir die mense gesê: **29** "Kom kyk, hier is 'n man wat vir my alles vertel het wat ek gedoen het. Is hy nie dalk die Christus nie?" **30** Toe het hulle uit die stad uit na hom toe gegaan.

31 Intussen het die dissipels vir hom bly sê: "Rabbi,^a eet iets."

32 Maar hy het vir hulle gesê: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie." **33** Toe het die dissipels vir mekaar gesê: "Niemand het vir hom iets gebring om te eet nie, of hoe?"

34 Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van hom wat my gestuur het^b en om sy werk te voltooi.^c **35** Sê julle nie dat dit nog vier maande is voordat die oes begin nie? Ek sê vir julle: Kyk na die landerye en sien dat hulle wit is vir die oes.^d **36** Die een wat oes, ontvang al klaar sy loon en versamel vrugte vir die ewige lewe, sodat die een wat saai en die een wat oes, saam bly kan wees.^e **37** Ja, in hierdie geval is die gesegde waar: Een saai en 'n ander een oes. **38** Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waarvoor julle nie gewerk het nie. Ander het gewerk, en julle het die vrugte van hulle arbeid gepluk."

39 Baie van die Samaritane uit daardie stad het geloof in hom gestel as gevolg van die vrou wat getuig en gesê het: "Hy het vir my alles vertel wat ek gedoen het."^f **40** En toe die Samaritane by hom kom, het hulle hom dus gevra om by hulle te bly, en hy het twee dae daar gebly. **41** Toe het nog baie meer mense geglo as gevolg van wat hy gesê het, **42** en hulle het vir die vrou gesê: "Nou glo ons nie meer net as gevolg van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat hierdie man regtig die redder van die wêreld is."^g

43 Ná die twee dae het Jesus vertrek om na Galile'a te gaan, **44** al het hy self getuig dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie.^h **45** Maar toe hy

HFST. 4

a Joh 1:38

b Joh 6:38

c Joh 5:30, 36
Joh 17:4
Joh 19:30

d Mt 9:37

e 1Kor 3:8

f Joh 4:29

g Mt 1:21
Joh 1:29
1Ti 1:15
1Jo 4:14h Mt 13:57
Mr 6:4
Lu 4:24

Tweede kol.

a Joh 2:23

b De 16:16

c Joh 2:1-11

d Mt 16:1
1Kor 1:22e Mt 8:13
Mr 7:29, 30

f Mt 8:13

g Joh 2:11

HFST. 5

h Eks 12:14
De 16:1, 16
Joh 2:13
Joh 6:4

i Ne 3:1

in Galile'a aankom, het die Galileërs hom verwelkom omdat hulle alles gesien het wat hy in Jerusalem by die fees gedoen het,^a want hulle het ook na die fees gegaan.^b

46 Toe het hy weer na Kana in Galile'a gegaan, waar hy die water in wyn verander het.^c En daar was 'n koninklike amptenaar wie se seun in Kaper'naum siek was. **47** Toe hierdie man hoor dat Jesus uit Jude'a na Galile'a gekom het, het hy na hom toe gegaan en hom gevra om te kom en sy seun gesond te maak, want hy was besig om dood te gaan. **48** Maar Jesus het vir hom gesê: "Tensy julle tekens en wonderwerke sien, sal julle nooit glo nie."^d **49** Die koninklike amptenaar het vir hom gesê: "Here, kom voordat my jong kind sterf." **50** Jesus het vir hom gesê: "Gaan. Jou seun lewe."^e Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het en het gegaan. **51** Maar terwyl hy op pad was, het sy slawe na hom toe gekom om vir hom te sê dat sy seun lewe.* **52** Toe het hy hulle gevra in watter uur hy beter geword het. Hulle het geantwoord: "Die koors het gister teen die sewende uur* verdwyn." **53** Toe het die pa geweet dat dit op presies dieselfde tyd was toe Jesus vir hom gesê het: "Jou seun lewe."^f En hy en almal wat in sy huis gewoon het, het geglo. **54** Dit was die tweede wonderwerk*^g wat Jesus gedoen het toe hy uit Jude'a na Galile'a gekom het.

5 Ná hierdie dinge was daar 'n fees^h van die Jode, en Jesus het na Jerusalem gegaan. **2** In Jerusalem is daar by die Skaappoortⁱ 'n bad wat in Hebreeus

4:51 *Of "besig is om gesond te word".
4:52 *D.w.s. omtrent 13:00. **4:54**
*Lett. "teken".

Bets'ata genoem word. Hierdie bad het vyf pilaargange gehad 3 waar baie mense gelê het wat siek, blind en kreupel was, asook dié met misvormde* leedemate. 4 *— 5 Een van die mans wat daar was, was al 38 jaar lank siek. 6 Jesus het die man daar sien lê en het geweet dat hy reeds lank siek was. Daarom het hy vir hom gevra: "Wil jy gesond word?"^a 7 Die siek man het geantwoord: "Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit wanneer die water begin beweeg nie, en wanneer ek probeer inklim, klim iemand anders voor my in." 8 Jesus het vir hom gesê: "Staan op! Tel jou slaapmat* op en loop."^b 9 En die man het onmiddellik gesond geword, en hy het sy slaapmat* opgetel en begin loop.

Daardie dag was die Sabbat, 10 en daarom het die Jode vir die man wat genees is, begin sê: "Dit is die Sabbat, en jy mag nie die slaapmat* dra nie."^c 11 Maar hy het hulle geantwoord: "Dieselfde man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: 'Tel jou slaapmat* op en loop.'" 12 Hulle het vir hom gevra: "Wie is die man wat vir jou gesê het: 'Tel dit op en loop?'" 13 Maar die man wat gesond gemaak is, het nie geweet wie dit was nie, want Jesus het in die skare verdwyn.

14 Later het Jesus hom in die tempel gevind en vir hom gesê: "Kyk, jy het gesond geword. Moenie meer sondig nie, sodat iets ergers nie met jou gebeur nie." 15 Die man het weggegaan en vir die Jode vertel dat dit Jesus was wat hom gesond gemaak het. 16 Die Jode het Jesus begin vervolg omdat

5:3 *Of "verlamde". 5:4 *Sien Aanh. A3. 5:8-11 *Of "bed".

HFST. 5

a Jes 53:3

b Mt 9:6
Mr 2:10, 11
Lu 5:24

c Eks 20:9, 10
Mt 12:2
Lu 6:2

Tweede kol.

a Joh 9:4
Joh 14:10

b Joh 14:28

c Flp 2:5, 6

d Joh 5:30
Joh 8:28
Joh 12:49

e Mt 3:17
Joh 3:35
Joh 10:17
2Pe 1:17

f Lu 8:25
Joh 6:10, 11
Joh 6:19

g 2Kn 4:32-34
Heb 11:35

h Lu 7:12, 14
Lu 8:52-54
Joh 11:25

i Han 10:42
Han 17:31
2Kor 5:10
2Ti 4:1

j Lu 10:16

k Joh 3:16
Joh 6:40
Joh 8:51

l 1Jo 3:14

m Ps 36:9
Han 17:28

n Joh 11:25

hy hierdie dinge op die Sabbat gedoen het. 17 Maar hy het vir hulle gesê: "My Vader het tot nou toe aanhou werk, en ek hou aan werk."^a 18 As gevolg hiervan het die Jode nog harder probeer om hom dood te maak, want hy het nie net die Sabbat gebreek nie, maar hy het God ook sy eie Vader genoem^b en hom so aan God gelykgemaak.^c

19 Daarom het Jesus vir hulle gesê: "Ek verseker julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie, maar net wat hy die Vader sien doen."^d Want alles wat daardie Een doen, doen die Seun ook net so. 20 Want die Vader is lief vir die Seun^e en wys hom alles wat hy self doen. Hy sal vir hom werke wys wat nog groter is as dié, sodat julle verstom sal wees.^f 21 Want net soos die Vader die dooies opwek en lewend maak,^g so maak die Seun ook lewend wie hy wil.^h 22 Want die Vader oordeel niemand nie, maar hy het die oordeel heeltal aan die Seun oorgelaat,ⁱ 23 sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Enigiemand wat nie die Seun eer nie, eer nie die Vader wat hom gestuur het nie.^j 24 Ek verseker julle: Enigiemand wat my woorde hoor en die Een glo wat my gestuur het, het die ewige lewe,^k en hy sal nie geoordeel word nie. Hy is soos iemand wat dood was maar wat nou lewe.^l

25 "Ek verseker julle: Die uur kom, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat aandag geskenk het, sal lewe. 26 Want net soos die Vader lewe* in homself het,^m so het hy dit ook vir die Seun moontlik gemaak om lewe in homself te hê.ⁿ 27 En Hy het hom

5:26 *Of "die gawe van die lewe".

die gesag gegee om te oordeel^a omdat hy die Seun van die mens is.^b **28** Moenie hieroor verbaas wees nie, want die uur kom waarin almal wat in die gedenk-grafte* is, sy stem sal hoor^c **29** en sal uitkom, dié wat goeie dinge gedoen het, tot 'n opstanding van die lewe, en dié wat walglike dinge gedoen het, tot 'n opstanding van oordeel.^d **30** Ek kan niks uit my eie doen nie. Net soos ek hoor, oordeel ek, en my oordeel is regverdig^e omdat ek nie my eie wil soek nie, maar die wil van hom wat my gestuur het.^f

31 "As ek alleen oor myself getuig, is my getuienis nie waar nie.^g **32** Daar is iemand anders wat oor my getuig, en ek weet dat die getuienis wat hy oor my gee, waar is.^h **33** Julle het manne na Johannes gestuur, en hy het van die waarheid getuig.ⁱ **34** Ek aanvaar egter nie die getuienis van 'n mens nie, maar ek sê hierdie dinge sodat julle gered kan word. **35** Daardie man was 'n lamp wat gebrand en geskyn het, en julle was 'n kort tydjie bereid om sy lig te geniet.^j **36** Maar ek het die getuienis wat groter is as die getuienis van Johannes. Want hierdie werk wat ek doen, die werk wat my Vader my gegee het om te doen, getuig dat die Vader my gestuur het.^k **37** En die Vader wat my gestuur het, het self oor my getuig.^l Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy voorkoms gesien nie,^m **38** en sy woord is nie in julle nie, want julle glo nie die een wat hy gestuur het nie.

39 "Julle ondersoek die Skrif,ⁿ want julle dink dat julle die ewige lewe daardeur sal hê, en dit is juis die Skrif wat oor my getuig.^o **40** En tog wil julle nie na my toe kom^p sodat julle

HFST. 5

a Joh 5:22

2Ti 4:1

b Da 7:13

c Job 14:13

Jes 25:8

Jes 26:19

d Op 20:12, 15

e Jes 11:4

f Mt 26:39

Joh 4:34

Joh 6:38

g De 19:15

h Mt 3:17

Mr 9:7

Joh 12:28-30

1Jo 5:9

i Joh 1:15, 32

j Mt 3:1, 5, 6

Mr 6:20

k Mt 11:5

Joh 3:2

Joh 7:31

Joh 10:25

l Mr 1:11

Joh 8:18

m De 4:11, 12

Joh 1:18

Joh 6:46

n Lu 11:52

o De 18:15

p Jes 53:3

Joh 1:11

Tweede kol.

a Joh 12:42, 43

b De 31:26, 27

Joh 7:19

c De 18:15

Lu 24:44

Joh 1:45

HFST. 6

d Mt 14:13

Lu 9:10

e Mr 6:33

f Lu 9:11

g Joh 2:13

Joh 5:1

h Mt 14:14-17

Mr 6:35-38

Lu 9:12, 13

die lewe kan hê nie. **41** Ek wil nie deur mense geëer word nie, **42** maar ek weet goed dat julle nie die liefde vir God in julle het nie. **43** Ek het in die naam van my Vader gekom, maar julle aanvaar my nie. As iemand anders in sy eie naam gekom het, sou julle hom aanvaar het. **44** Hoe kan julle glo as julle deur mekaar geëer wil word maar geen moeite doen om deur die enigste God geëer te word nie?^a **45** Moenie dink dat ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Moses,^b op wie julle vertrou het, beskuldig julle. **46** Om die waarheid te sê, as julle Moses geglo het, sou julle my glo, want hy het oor my geskryf.^c **47** Maar as julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe sal julle glo wat ek sê?"

6 Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galile'a, of Tibe'rias, gegaan.^d **2** En 'n groot skare het hom bly volg,^e omdat hulle sy wonderwerke gesien het toe hy die siekes genees het.^f **3** Daarom het Jesus teen 'n berg opgegaan en daar saam met sy dissipels gaan sit. **4** En die Pasga,^g die fees van die Jode, was naby. **5** Toe Jesus opkyk en sien dat 'n groot skare na hom toe kom, het hy vir Filippus gevra: "Waar gaan ons brood koop sodat hierdie mense kan eet?"^h **6** Hy het dit egter gesê om hom te toets, want hy het geweet wat hy binnekort sou doen. **7** Filippus het hom geantwoord: "Brood vir 200 denarii* is nie genoeg sodat elkeen van hulle selfs net 'n stukkie kan kry nie." **8** Een van sy dissipels, Andre'as, Simon Petrus se broer, het vir hom gesê: **9** "Hier is 'n seuntjie wat vyf brode* en twee

6:7 *Sien Aanh. B14. **6:9** *Of "gars-brode".

vissies het. Maar wat is dit nou onder so baie mense?"^a

10 Jesus het gesê: "Laat die mense gaan sit." Daar was baie gras, en hulle het gaan sit. Daar was omtrent 5 000 mans.^b

11 Jesus het die brood geneem, en nadat hy 'n dankgebed gedoen het, het hy dit uitgedeel aan dié wat daar gesit het. Hy het dieselfde met die vissies gedoen, en die mense kon soveel eet as wat hulle wou. **12** Toe hulle genoeg geëet het, het hy vir sy dissipels gesê: "Maak die oorskietstukke bymekaar sodat niks gemors word nie." **13** Hulle het dit toe bymekaargemaak, en hulle het 12 mandjies vol gemaak met die oorskietstukke van die vyf brode wat die mense geëet het.

14 Toe die mense die wonderwerk* sien wat hy gedoen het, het hulle begin sê: "Dit is beslis die Profeet wat in die wêreld sou inkom."^c **15** Omdat Jesus geweet het dat hulle op die punt staan om hom te kom gryp en hom koning te maak, het hy weer weggegaan^d na die berg toe, heeltemal alleen.^e

16 Toe dit aand word, het sy dissipels na die see toe gegaan,^f **17** en hulle het in 'n boot geklim en oor die see na Kaper'naum weggevaar. Teen hierdie tyd was dit al donker, en Jesus het nog nie na hulle toe gekom nie.^g **18** En die see het onstuiwiger begin word omdat 'n sterk wind gewaai het.^h **19** Maar toe hulle omtrent vyf of ses kilometer* geroei het, het hulle gesien dat Jesus op die see loop en al hoe nader aan die boot kom, en hulle het baie bang geword. **20** Maar hy het vir hulle gesê: "Dit is ek. Moenie bang wees nie!"ⁱ **21** Toe was hulle bereid

HFST. 6

a 2Kn 4:42-44

b Mt 14:19-21
Mr 6:39-44
Lu 9:14-17

c De 18:15, 18

d Joh 17:16
Joh 18:36e Mt 14:23
Mr 6:45

f Mt 14:22

g Mr 6:47-51

h Mt 8:24
Mt 14:24-33i Mt 14:27
Mr 6:50

Tweede kol.

a Mt 14:34

b Joh 1:38

c Joh 6:11

d Joh 4:14
Joh 17:3
Ro 6:23e Mt 3:17
Han 2:22
2Pe 1:17f Han 16:31
1Jo 3:23g Mt 12:38
Mr 8:12
Joh 2:18
1Kor 1:22h Eks 16:15
Nu 11:7

om hom in die boot te laat klim, en net daarna het die boot by die land aangekom waarheen hulle op pad was.^a

22 Die volgende dag was die skare nog aan die oorkant van die see. Hulle het gesien dat daar nie 'n boot was nie. Daar was 'n klein bootjie, maar Jesus het nie saam met sy dissipels in daardie boot geklim nie, want sy dissipels het sonder hom vertrek. **23** Bote uit Tibe'rias het egter aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het nadat die Here 'n dankgebed gedoen het. **24** Toe die skare sien dat nie Jesus of sy dissipels daar is nie, het hulle in hulle bote geklim en na Kaper'naum gekom om na Jesus te soek.

25 Toe hulle hom aan die oorkant van die see vind, het hulle vir hom gevra: "Rabbi,^b wanneer het u hier aangekom?"

26 Jesus het geantwoord: "Ek sê vir julle dat julle nie na my soek omdat julle wonderwerke* gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet het en versadig geword het."^c **27** Moenie werk vir die voedsel wat sleg word nie, maar vir die voedsel wat nie sleg word nie en wat ewige lewe gee.^d Die Seun van die mens sal vir julle hierdie voedsel gee, want die Vader, God self, het Sy seël van goedkeuring op hom gedruk."^e

28 Toe het hulle vir hom gevra: "Wat moet ons doen om die werke van God te verrig?"

29 Jesus het hulle geantwoord: "God wil hê dat julle geloof beoefen in die een wat hy gestuur het."^f **30** Toe het hulle vir hom gevra: "Wat doen u dan as 'n teken,^g sodat ons dit kan sien en u kan glo? Watter werk doen u?" **31** Ons voorvaders het die manna in die wildernis geëet,^h

6:14 *Lett. "teken". 6:19 *Lett. "omtrek 25 of 30 stadie". Sien Aanh. B14.

6:26 *Lett. "tekens".

net soos daar geskryf is: 'Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee om te eet.'^a **32** Jesus het toe vir hulle gesê: "Ek verseker julle: Moses het nie vir julle die brood uit die hemel gegee nie, maar my Vader gee vir julle die ware brood uit die hemel. **33** Want die brood van God is die een wat uit die hemel neerdaal en lewe gee aan die wêreld." **34** Toe het hulle vir hom gesê: "Here, gee altyd vir ons van hierdie brood."

35 Jesus het vir hulle gesê: "Ek is die brood van die lewe. Enigiemand wat na my toe kom, sal nooit honger word nie, en enigiemand wat geloof in my beoefen, sal nooit dors word nie."^b **36** Maar soos ek vir julle gesê het, julle het my gesien, maar tog glo julle nie.^c **37** Almal wat die Vader aan my gee, sal na my toe kom, en ek sal nooit die een wat na my toe kom, wegjaag nie,^d **38** want ek het uit die hemel neergedaal,^e nie om my eie wil te doen nie, maar die wil van hom wat my gestuur het.^f **39** Die wil van hom wat my gestuur het, is dat ek niemand moet verloor uit almal wat hy aan my gegee het nie, maar dat ek hulle op die laaste dag moet opwek.^g **40** Want die wil van my Vader is dat elkeen wat die Seun erken en geloof in hom beoefen, die ewige lewe moet hê,^h en ek sal hom op die laaste dag opwek."ⁱ

41 Toe het die Jode begin kla omdat hy gesê het: "Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het."^j **42** Hulle het begin vra: "Is dit nie Jesus die seun van Josef, wie se pa en ma ons ken nie?^k Hoekom sê hy dan nou: 'Ek het uit die hemel neergedaal'?" **43** Jesus het hulle geantwoord: "Hou op om onder mekaar te kla. **44** Geen mens

HFST. 6

a Ps 78:24
Ps 105:40b Joh 4:14
Joh 7:37
Op 22:17

c Joh 6:64

d Mt 11:28, 29
Joh 17:6e Joh 3:13
Joh 8:23, 42f Mt 26:39
Joh 5:30g Joh 5:28, 29
Ro 6:5

h Joh 10:27, 28

i Joh 11:24
Han 17:31
1Te 4:16
Op 20:12

j Joh 6:33

k Mr 6:3

Tweede kol.

a Joh 6:65

b Joh 11:24

c Jes 54:13

d Eks 33:17, 20

e Mt 11:27
Lu 10:22
Joh 1:18

f Joh 3:16

g Joh 6:33

h Joh 6:31

i Heb 10:10

j Joh 6:33

k Joh 6:40
1Kor 15:51, 52
1Te 4:16

l Joh 15:4

m Joh 5:26
1Kor 15:22

kan na my toe kom tensy die Vader, wat my gestuur het, hom trek nie,^a en ek sal hom op die laaste dag opwek.^b **45** Daar is in die boeke van die profete geskryf: 'Hulle sal almal deur Jehovah* geleer word.'^c Elkeen wat na die Vader geluister het en wat geleer het, kom na my toe. **46** Nie dat enigiemand die Vader gesien het nie,^d behalwe die een wat van God kom. Hy het die Vader gesien.^e **47** Ek verseker julle: Enigiemand wat glo, het die ewige lewe.^f

48 "Ek is die brood van die lewe.^g **49** Julle voorvaders het die manna in die wildernis geëet, en tog het hulle gesterf.^h **50** Maar enigeen wat eet van die brood wat uit die hemel neerdaal, sal nie sterf nie. **51** Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As enigiemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig lewe. Die brood wat ek sal gee, is in werklikheid my vlees sodat die wêreld kan lewe."ⁱ

52 Toe het die Jode met mekaar begin stry en gevra: "Hoe kan hierdie man sy vlees vir ons gee om te eet?" **53** Jesus het toe vir hulle gesê: "Ek verseker julle: As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.^j **54** Enigiemand wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en ek sal hom op die laaste dag opwek,^k **55** want my vlees is ware voedsel, en my bloed is ware drank. **56** Enigiemand wat my vlees eet en my bloed drink, bly in eenheid met my, en ek in eenheid met hom.^l **57** Net soos die lewende Vader my gestuur het en ek weens die Vader lewe, so sal die een wat my vlees eet, weens my lewe."^m

6:45 *Sien Aanh. A5.

58 Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het. Dit is nie soos toe julle voorvaders geëet het en tog gesterf het nie. Enigiemand wat hierdie brood eet, sal vir ewig lewe.^a 59 Hy het hierdie dinge gesê terwyl hy mense in 'n sinagoge* in Kaper'nau geleer het.

60 Toe hulle dit hoor, het baie van sy dissipels gesê: "Hierdie woorde is skokkend! Wie kan daarna luister?" 61 Maar Jesus het geweet dat sy dissipels hieroor kla en het vir hulle gevra: "Laat dit julle struikel? 62 Wat sal julle dan sê as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar hy voorheen was?"^b 63 Dit is die gees wat lewe gee.^c Die vlees is nie van enige nut nie. Die woorde wat ek vir julle gesê het, is gees en lewe.^d 64 Maar daar is party van julle wat nie glo nie." Want Jesus het van die begin af geweet wie nie geglo het nie en wie hom sou verrai.^e 65 Toe het hy gesê: "Dit is hoekom ek vir julle gesê het: Niemand kan na my toe kom as die Vader nie besluit het dat hy kan kom nie."^f

66 As gevolg hiervan het baie van sy dissipels teruggegaan na die dinge wat hulle agtergelaat het^g en hom nie meer gevolg nie. 67 Daarom het Jesus vir die Twaalf gevra: "Wil julle nie dalk ook weggaan nie?" 68 Simon Petrus het hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons weggaan?"^h U het woorde van die ewige lewe.ⁱ 69 Ons het geglo en weet dat u die Heilige van God is."^j 70 Jesus het vir hulle gesê: "Ek het die twaalf van julle uitgekies, nie waar nie?"^k Tog is een van julle 'n lasteraar."^l 71 Hy het in werklikheid gepraat van Judas, die

6:59 *Of moontlik "openbare vergadering". 6:70 *Of "n duiwel".

- HFST. 6
 a Joh 6:51
 b Joh 3:13
 Joh 6:38
 Joh 8:23
 Han 1:9
 c Ga 6:8
 d De 8:3
 Mt 4:4
 e Mt 9:3, 4
 Joh 2:24, 25
 Joh 13:11
 f Joh 6:44
 g Lu 9:62
 h Mt 16:16
 Mr 8:29
 i Joh 6:63
 Joh 17:3
 j Lu 9:20
 k Lu 6:13
 l Lu 22:3
 Joh 13:18
 Tweede kol.
 a Mt 26:14, 15
 Joh 12:4
 HFST. 7
 b Joh 5:18
 c Le 23:34
 d Mt 12:46
 Mr 6:3
 Lu 8:19
 Joh 2:12
 Han 1:14
 Ga 1:19
 e Mr 3:21
 f Joh 2:4
 Joh 7:30
 g Joh 3:19
 Joh 15:19
 h Joh 8:20
 i Joh 9:16
 j Joh 9:22
 Joh 12:42
 Joh 19:38

seun van Simon Iska'riot, want Judas sou hom verrai, al was hy een van die Twaalf.^a

7 Hierna het Jesus deur Galile'a bly reis,* want hy wou nie in Jude'a rondreis nie omdat die Jode hom wou doodmaak.^b 2 Die Joodse Loofhuttefees*^c was egter naby. 3 Daarom het sy broers^d vir hom gesê: "Gaan hiervandaan na Jude'a toe, sodat jou dissipels ook die werke kan sien wat jy doen. 4 Want niemand doen enigiets in die geheim wanneer hy in die openbaar bekend wil wees nie. As jy hierdie dinge doen, openbaar jou dan aan die wêreld." 5 Maar sy broers het nie geloof in hom beoefen nie.^e 6 Toe het Jesus vir hulle gesê: "My tyd het nog nie gekom nie,^f maar vir julle is enige tyd reg. 7 Die wêreld het geen rede om julle te haat nie, maar die wêreld haat my, omdat ek getuig dat die werke van die wêreld goddeloos is.^g 8 Gaan julle na die fees toe. Ek gaan nog nie na hierdie fees toe nie, want my tyd het nog nie gekom nie."^h 9 Nadat hy hierdie dinge vir hulle gesê het, het hy in Galile'a gebly.

10 Maar nadat sy broers na die fees gegaan het, het hy self ook gegaan, nie openlik nie maar in die geheim. 11 Die Jode het hom by die fees begin soek en gevra: "Waar is daardie man?" 12 En die skare het baie dinge onder mekaar oor hom gefluister. Party het gesê: "Hy is 'n goeie man." Ander het gesê: "Hy is nie. Hy mislei die mense."ⁱ 13 Natuurlik het niemand in die openbaar oor hom gepraat nie, want hulle was bang vir die Jode.^j

14 Toe die fees al halfpad verby was, het Jesus na die tem-

7:1 *Of "loop". 7:2 *Of "Huttefees".

pel toe gegaan en mense begin leer. **15** Die Jode was baie verbaas en het gevra: "Hoe is dit dat hierdie man soveel kennis van die Skrif^a het as hy nie aan die skole^b gestudeer het nie?"^b

16 Toe het Jesus hulle geantwoord: "Wat ek leer, is nie myne nie, maar behoort aan hom wat my gestuur het.^c **17** As iemand 'n begeerte het om Sy wil te doen, sal hy weet of die dinge wat ek aan mense leer, van God af kom^d en of ek uit my eie praat. **18** Enigiemand wat uit sy eie praat, soek sy eie eer, maar enigiemand wat geer wil word deur die een wat hom gestuur het,^e is betroubaar, en daar is geen onregverdigheid in hom nie. **19** Moses het vir julle die Wet^f gegee, nie waar nie? Maar nie een van julle gehoorsaam die Wet nie. Hoekom probeer julle my doodmaak?"^g **20** Die skare het geantwoord: "Jy het 'n demoon. Wie probeer jou doodmaak?" **21** Jesus het vir hulle gesê: "Ek het een daad gedoen, en julle almal is verbaas daaroor. **22** Daarom het Moses julle die bevel oor besnydenis^h gegee - nie dat dit van Moses kom nie, maar van die voorvadersⁱ - en julle besny 'n man op 'n sabbat. **23** As 'n man op 'n sabbat besny word sodat die Wet van Moses nie verbreek word nie, is julle dan woedend vir my omdat ek 'n mens op 'n sabbat heeltemal gesond gemaak het?"^j **24** Hou op om te oordeel volgens wat julle sien, maar oordeel met 'n regverdig oordeel."^k

25 Toe het party van die inwoners van Jerusalem begin sê: "Is dit nie die man wat hulle probeer doodmaak nie?"^l **26** En tog praat hy in die openbaar, en

7:15 *Lett. "geskryfte". ^bD.w.s. die rabbynse skole.

HFST. 7

a Lu 4:16, 17

b Mt 13:54
Mr 6:2
Lu 2:46, 47
Han 4:13

c Joh 8:28
Joh 12:49
Joh 14:10

d Joh 8:47

e Joh 5:41
Joh 8:50

f Eks 24:3

g Mt 12:14
Mr 3:6

h Le 12:2, 3

i Ge 17:9, 10

j Joh 5:8, 9

k Jes 11:3, 4
Mt 23:23

l Joh 5:18

Tweede kol.

a Mt 13:55

b Joh 8:42

c Joh 8:54, 55

d Mt 11:27
Joh 1:18
Joh 10:15

e Mr 11:18
Lu 19:47

f Joh 8:20

g Joh 2:23
Joh 8:30
Joh 10:40, 42
Joh 11:45

h Joh 13:33
Joh 16:16

i Joh 8:21, 22

hulle sê niks vir hom nie. Weet ons leiers nou vir seker dat hy die Christus is? **27** Ons weet dan waar hierdie man vandaan kom.^a Maar wanneer die Christus kom, sal niemand weet waar hy vandaan kom nie." **28** Terwyl Jesus mense in die tempel geleer het, het hy uitgeroep: "Julle ken my en weet waar ek vandaan kom. Ek het nie uit my eie gekom nie,^b maar die Een wat my gestuur het, bestaan werklik, en julle ken hom nie.^c **29** Ek ken hom,^d want ek is 'n verteenwoordiger wat van hom af kom, en hy het my gestuur." **30** Toe het hulle hom probeer gevange neem,^e maar niemand het iets aan hom gedoen nie, omdat sy uur nog nie gekom het nie.^f **31** Nogtans het baie van die skare geloof in hom gestel,^g en hulle het gesê: "Wanneer die Christus kom, sal hy tog nie meer wonderwerke* doen as wat hierdie man gedoen het nie, of hoe?"

32 Die Fariseërs het gehoor toe die skare hierdie dinge oor hom fluister, en die hoofprietters en die Fariseërs het beampptes gestuur om hom gevange te neem. **33** Toe het Jesus gesê: "Ek sal nog 'n klein rukkie by julle wees voordat ek na die Een toe gaan wat my gestuur het."^h **34** Julle sal my soek, maar julle sal my nie vind nie, en waar ek is, kan julle nie kom nie."ⁱ **35** Daarom het die Jode onder mekaar gesê: "Waarheen is hierdie man van plan om te gaan, sodat ons hom nie sal vind nie? Hy is tog nie van plan om na die Jode te gaan wat onder die Grieke verstrooi is en om die Grieke te leer nie, of hoe? **36** Wat bedoel hy wanneer hy sê: 'Julle sal my soek, maar julle sal my nie

7:31 *Lett. "tekens".

vind nie, en waar ek is, kan julle nie kom nie?"

37 Op die laaste dag, die groot dag van die fees,^a het Jesus opgestaan en uitgeroep: "As iemand dors is, laat hom na my toe kom en drink."^b **38** Die Skrifgedeelte sê die volgende oor enigiemand wat geloof in my stel: "Uit sy binneste sal strome van lewendende water vloei."^c

39 Hy het egter gepraat van die gees, wat dié wat geloof in hom gestel het, binnekort sou ontvang, maar op daardie stadium was daar nog geen gees nie,^d omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.^e **40** Party mense wat hierdie woorde gehoor het, het begin sê: "Hy is regtig die Profeet."^f **41** Ander het gesê: "Hy is die Christus."^g Maar party het gesê: "Die Christus kom nie uit Galile'a nie, of hoe?"^h **42** Sê die Skrif nie dat die Christus uit die nageslag van Dawidⁱ en uit Betlehem,^j die dorpie waar Dawid was,^k kom nie?" **43** Toe het daar verdeeldheid oor hom onder die skare ontstaan. **44** Party van hulle wou hom egter gevange neem, maar niemand het enigiets aan hom gedoen nie.

45 Toe het die beamptes na die hoofpriesters en Fariseërs toe teruggegaan, en die Fariseërs het vir hulle gevra: "Hoe kom het julle hom nie gebring nie?" **46** Die beamptes het geantwoord: "Nog nooit het enige mens so gepraat nie."^l **47** Toe het die Fariseërs gesê: "Is julle dan nou ook mislei?" **48** Nie een van ons leiers of van die Fariseërs het geloof in hom gestel nie.^m **49** Maar hierdie skare wat die Wet nie ken nie, is vervloekte mense." **50** Nikodemus, wat vantevore na hom toe gekom het en wat een van hulle was, het vir hulle gesê: **51** "Ons Wet oordeel nie 'n

HFST. 7

a Joh 7:2

b Joh 4:14

Joh 6:35

c Eks 17:6

Nu 20:8

Joh 4:14

d Jl 2:28

Joh 16:7

Han 2:17

e Joh 12:16

Joh 13:31, 32

1Ti 3:16

f De 18:18

Joh 6:14

g Joh 4:40, 42

Joh 6:68, 69

h Joh 1:46

Joh 7:52

i 2Kr 13:5

Ps 89:3, 4

Ps 132:11

Jer 23:5

j Mi 5:2

Lu 2:4

k 1Sa 16:1

l Mt 7:28, 29

Lu 4:22

m Joh 12:42

Han 6:7

Tweede kol.

a De 1:16, 17

HFST. 8

b Jes 9:2

Jes 49:6

Mt 4:16

Joh 1:5

Joh 12:35

c Joh 12:46

1Pe 2:9

1Jo 2:8

d Joh 7:28

Joh 13:3

Joh 16:28

e Joh 7:24

f Joh 14:10

g De 17:6

De 19:15

h Joh 5:37

2Pe 1:17

1Jo 5:9

i Joh 16:3

j Mt 11:27

Joh 14:7

k Mr 12:41

l Joh 7:30

mens sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie."^a **52** Hulle het vir hom gesê: "Jy is tog nie ook uit Galile'a nie? Stel ondersoek in, en dan sal jy sien dat geen profeet uit Galile'a sal kom nie."^b

8 12 Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê: "Ek is die lig van die wêreld."^b Enigiemand wat my volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die lig van die lewe besit."^c **13** Die Fariseërs het dus vir hom gesê: "Jy getuig oor jouself. Jou getuienis is nie waar nie." **14** Jesus het vir hulle gesê: "Selfs al getuig ek oor myself, is my getuienis waar, omdat ek weet waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan."^d Maar julle weet nie waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan nie. **15** Julle oordeel volgens die standarde van mense."^e Ek oordeel niemand nie. **16** En selfs al oordeel ek, is my oordeel betroubaar, omdat ek nie alleen is nie, maar die Vader wat my gestuur het, is met my.^f **17** Daar is ook in julle eie Wet geskryf: "Die getuienis van twee mense is waar."^g **18** Ek is een wat oor myself getuig, en die Vader wat my gestuur het, getuig oor my."^h **19** Toe het hulle vir hom gevra: "Waar is jou Vader?" Jesus het geantwoord: "Julle ken my nie, en ook nie my Vader nie."ⁱ As julle my geken het, sou julle my Vader ook geken het."^j **20** Hierdie woorde het hy in die skatkisgedeelte^k gesê terwyl hy mense in die tempel geleer het. Maar niemand het hom gevange geneem nie, want sy uur het nog nie gekom nie.^l

7:52 *n Aantal eertydse en gesaghebende manuskripte sluit nie die deel van vs. 53 tot hoofstuk 8 vs. 11 in nie. **8:15** *Lett. "volgens die vlees".

21 Toe het hy weer vir hulle gesê: "Ek gaan weg, en julle sal my soek, en tog sal julle in julle sonde sterf.^a Waarheen ek gaan, kan julle nie kom nie."^b **22** Die Jode het toe begin sê: "Hy sal homself tog nie doodmaak nie, of hoe? Want hy sê: 'Waarheen ek gaan, kan julle nie kom nie.'"

23 Hy het vir hulle gesê: "Julle is van hier onder. Ek is van daar bo.^c Julle is van hierdie wêreld. Ek is nie van hierdie wêreld nie. **24** Daarom het ek vir julle gesê: Julle sal in julle sondes sterf. Want as julle nie glo dat ek die een is nie, sal julle in julle sondes sterf." **25** Daarom het hulle vir hom begin vra: "Wie is jy?" Jesus het vir hulle gesê: "Hoekom praat ek nog met julle? **26** Ek het baie dinge om oor julle te sê en baie sake waaroor ek 'n oordeel moet uitspreek. Om die waarheid te sê, die Een wat my gestuur het, is betroubaar, en ek maak die dinge wat ek by hom gehoor het, in die wêreld bekend."^d **27** Hulle het nie verstaan dat hy met hulle oor die Vader praat nie.

28 Toe het Jesus gesê: "Nadat julle die Seun van die mens opgelig het,^e dan sal julle weet dat dit ek is,^f en dat ek niks uit my eie doen nie,^g maar ek sê hierdie dinge net soos die Vader my geleer het. **29** En die Een wat my gestuur het, is met my. Hy het my nie aan myself oorgee laat nie, want ek doen altyd die dinge wat sy hart bly maak."^h **30** Terwyl hy hierdie dinge gesê het, het baie mense geloof in hom gestel.

31 Toe het Jesus vir die Jode wat hom geglo het, gesê: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle werklik my dissipels, **32** en julle sal die waarheid ken,ⁱ en die waarheid sal

HFST. 8

a Joh 8:24

b Joh 7:34
Joh 13:33c Joh 3:31
Joh 16:28

d Joh 18:19, 20

e Nu 21:8, 9
Da 7:13
Mt 26:64
Joh 3:14
Joh 12:32, 33
Ga 3:13

f Mt 27:54

g Joh 5:19, 30

h Joh 4:34
Joh 14:10
Heb 1:9i Joh 17:17
Joh 18:37

Tweede kol.

a Ro 6:14, 22
Jak 1:25b Ro 6:6, 16
Ro 7:14

c Joh 5:19

d Ro 2:28, 29
Ro 9:7, 8
Ga 3:7, 29

e Joh 8:26

f Joh 16:27
1Jo 5:1g Joh 3:16
Joh 5:19, 30

h Ge 3:15

julle vrymaak."^a **33** Hulle het hom geantwoord: "Ons is Abraham se nageslag en ons was nog nooit enigiemand se slawe nie. Hoe is dit dat jy sê: 'Julle sal vry word?'" **34** Jesus het hulle geantwoord: "Ek verseker julle: Elkeen wat sondig, is 'n slaaf van die sonde."^b **35** Wat meer is, die slaaf bly nie vir ewig in die huis nie, maar die seun bly vir ewig. **36** As die Seun julle dan vrymaak, sal julle werklik vry wees. **37** Ek weet dat julle Abraham se nageslag is, maar julle probeer my doodmaak omdat julle nie aanvaar wat ek sê nie. **38** Ek praat oor die dinge wat ek gesien het terwyl ek by my Vader was,^c maar julle doen die dinge wat julle by julle vader gehoor het." **39** Hulle het vir hom gesê: "Ons vader is Abraham." Jesus het vir hulle gesê: "As julle Abraham se kinders was,^d sou julle die werke doen wat Abraham gedoen het. **40** Maar nou probeer julle my doodmaak, 'n man wat vir julle die waarheid vertel het wat ek by God gehoor het."^e Abraham het dit nie gedoen nie. **41** Julle doen die werke van julle vader." Hulle het vir hom gesê: "Ons is nie uit onsedelikheid* gebore nie. Ons het een Vader, God."

42 Jesus het vir hulle gesê: "As God julle Vader was, sou julle my liefhê,^f want ek het van God af gekom, en ek is hier. Ek het nie uit my eie gekom nie, maar Hy het my gestuur."^g **43** Hoekom verstaan julle nie wat ek sê nie? Omdat julle nie na my woorde kan luister nie. **44** Julle is van julle vader die Duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader doen.^h Hy was 'n moordenaar van die

8:41 *Of "seksuele onsedelikheid". Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys.

begin af,^a en hy het nie in die waarheid vasgestaan nie, want daar is nie waarheid in hom nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, praat hy in ooreenstemming met sy eie geaardheid, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.^b **45** Maar omdat ek julle die waarheid vertel, glo julle my nie. **46** Wie van julle kan bewys dat ek gesondig het? As ek die waarheid praat, hoekom glo julle my dan nie? **47** Die een wat aan God behoort, luister na die woorde van God.^c Daarom luister julle nie, omdat julle nie aan God behoort nie.”^d

48 Die Jode het vir hom gevra: “Is ons nie reg wanneer ons sê dat jy 'n Samaritaan is^e en 'n demoon het nie?”^f **49** Jesus het geantwoord: “Ek het nie 'n demoon nie, maar ek eer my Vader, en julle beledig my. **50** Ek probeer egter nie om myself te eer nie.^g Daar is Een wat wil hê dat ek geëer moet word en wat oordeel. **51** Ek verseker julle: As iemand my woorde gehoorsaam, sal hy die dood nooit sien nie.”^h **52** Die Jode het vir hom gesê: “Nou weet ons dat jy 'n demoon het. Abraham het gesterf, en die profete ook, maar jy sê: ‘As iemand my woorde gehoorsaam, sal hy die dood nooit ondervind* nie.’ **53** Jy is tog nie groter as ons vader Abraham wat gesterf het nie, of hoe? Die profete het ook gesterf. Wie dink jy is jy?” **54** Jesus het geantwoord: “As ek myself eer, beteken my eer niks nie. Dit is my Vader wat my eer,ⁱ die een wat julle sê julle God is. **55** Tog het julle hom nie geken nie,^j maar ek ken hom.^k En as ek gesê het dat ek hom nie ken nie, sou ek soos julle wees, 'n leuenaar. Maar ek ken hom

8:44 *Of “toe hy begin het”. 8:52 *Lett. “proe”.

HFST. 8

a 1Jo 3:8

b Ge 3:4
2Kor 11:3
Op 12:9

c Joh 18:37

d Joh 10:26
1Jo 4:6

e Joh 4:9

f Mt 12:24
Joh 7:20
Joh 10:20g Joh 5:41
Joh 7:18h Joh 5:24
Joh 11:25, 26
1Kor 15:54
Op 20:6i Joh 5:41
Joh 13:31, 32
Han 3:13

j Joh 7:28

k Joh 7:29

Tweede kol.

a Mt 13:17
Heb 11:13b Spr 8:22
Joh 17:5
Flp 2:6, 7
Kol 1:15-17

HFST. 9

c Joh 1:38

d Joh 11:2-4

e Joh 4:34
Joh 11:9f Jes 49:6
Jes 61:1
Joh 1:5
Joh 8:12

g Mr 8:23

h 2Kn 5:10, 14

wel en is gehoorsaam aan sy woorde. **56** Abraham, julle vader, het uitgesien na die dag wanneer ek sou kom, en hy het dit gesien en was baie bly.”^a

57 Toe het die Jode vir hom gesê: “Jy is nog nie 50 jaar oud nie, en tog het jy Abraham gesien?”

58 Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle: Voordat Abraham bestaan het, het ek al bestaan.”^b

59 Toe het hulle klippe opgetel om hom daarmee te gooi, maar Jesus het weggekruipt en uit die tempel uitgegaan.

9 Terwyl hy verbygegaan het, het hy 'n man gesien wat van geboorte af blind was. **2** En sy dissipels het vir hom gevra: “Rabbi,^c hoe is dit dat hierdie man blind gebore is? Wie het gesondig: hy of sy ouers?”

3 Jesus het geantwoord: “Nie hierdie man of sy ouers het gesondig nie, maar dit was sodat die werke van God in sy geval bekend gemaak kon word.”^d

4 Terwyl dit dag is, moet ons die werke doen van die Een wat my gestuur het.^e Die nag kom wanneer geen mens kan werk nie. **5** Solank ek in die wêreld is, is ek die lig van die wêreld.”^f

6 Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy op die grond gespoeg en klei met die speeksel gemaak en die klei op die man se oë gesmeer^g **7** en vir hom gesê: “Gaan was jou in die bad Silo'am.” (Silo'am word as “uitgestuur” vertaal.) En hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien.^h

8 Toe het die bure en dié wat vroeër gesien het dat hy 'n bedelaar is, begin sê: “Dit is mos die man wat altyd gesit en bedel het, is dit nie?” **9** Party het gesê: “Dit is hy.” Ander het gesê: “Nee, dit lyk maar net soos hy.” Die man het bly sê: “Dit is ek.” **10** Toe het hulle vir hom

gevra: "Hoe is jou oë dan geopen?" **11** Hy het geantwoord: "Die man met die naam Jesus het klei gemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê: 'Gaan na Silo'am en was jou.'^a Ek het gegaan en my gewas en toe kon ek sien." **12** Toe het hulle vir hom gevra: "Waar is hierdie man?" Hy het gesê: "Ek weet nie."

13 Hulle het die man wat voorheen blind was, na die Fariseërs toe geneem. **14** Dit was die Sabbat^b toe Jesus die klei gemaak het en sy oë geopen het.^c **15** Hierdie keer het die Fariseërs die man ook begin vra hoe dit gebeur het dat hy kan sien. Hy het vir hulle gesê: "Hy het klei op my oë gesit, en ek het my gewas en nou kan ek sien." **16** Party van die Fariseërs het toe begin sê: "Hy is nie 'n man wat van God af kom nie, want hy hou nie die Sabbat^d nie." Ander het gevra: "Hoe kan 'n mens wat 'n sondaar is, sulke wonderwerke* doen?"^e Daar was dus verdeeldheid onder hulle.^f **17** Hulle het weer vir die blinde man gevra: "Wat het jy oor hom te sê, aangesien hy jou oë geopen het?" Die man het gesê: "Hy is 'n profeet."

18 Die Jode het egter nie geglo dat hy blind was en nou kon sien nie, totdat hulle sy ouers geroep het. **19** En hulle het vir die ouers gevra: "Is dit julle seun wat julle sê blind gebore is? Hoe is dit dan dat hy nou kan sien?" **20** Sy ouers het geantwoord: "Ons weet dat dit ons seun is en dat hy blind gebore is. **21** Maar ons weet nie hoe dit is dat hy nou sien nie. En ons weet nie wie sy oë geopen het nie. Vra hom. Hy is volwasse. Hy moet vir homself praat." **22** Sy ouers het hier-

HFST. 9

a Joh 9:7

b Lu 13:14
Joh 5:8, 9

c Joh 9:6

d Eks 20:9, 10

e Joh 3:2

f Lu 12:51
Joh 7:12, 43
Joh 10:19

Tweede kol.

a Joh 7:13
Joh 19:38b Joh 12:42
Joh 16:2c Ps 66:18
Spr 28:9
Jes 1:15d Ps 34:15
Spr 15:29

e Joh 5:36

f Joh 9:22
Joh 16:2

die dinge gesê omdat hulle bang was vir die Jode,^a want die Jode het klaar besluit dat enigiemand wat erken dat hy die Christus is, uit die sinagoge geban moet word.^b **23** Daarom het sy ouers gesê: "Hy is volwasse. Vra hom."

24 Toe het hulle die man wat blind was, 'n tweede keer geroep en vir hom gesê: "Gee eer aan God. Ons weet dat hierdie man 'n sondaar is." **25** Hy het geantwoord: "Of hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek wel: Ek was blind, maar nou kan ek sien." **26** Toe het hulle vir hom gevra: "Wat het hy met jou gedoen? Hoe het hy jou oë geopen?" **27** Hy het hulle geantwoord: "Ek het julle reeds vertel, maar julle het nie geluister nie. Hoekom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook sy dissipels word nie?" **28** Toe het hulle hom uitgeskel en gesê: "Jy is 'n dissipel van daardie man, maar ons is dissipels van Moses. **29** Ons weet dat God met Moses gepraat het, maar ons weet nie waar hierdie man vandaan kom nie." **30** Die man het hulle geantwoord: "Dit is baie vreemd dat julle nie weet waar hy vandaan kom nie, en tog het hy my oë geopen. **31** Ons weet dat God nie na sondaars luister nie,^c maar as iemand godvresend is en sy wil doen, luister hy na hom."^d **32** Daar is nog nooit gehoor dat enigeen die oë geopen het van iemand wat blind gebore is nie. **33** As hierdie man nie van God af gekom het nie, sou hy niks kon doen nie."^e **34** Hulle het hom geantwoord: "Jy is heeltemal in sonde gebore, en nou wil jy ons kom leer?" En hulle het hom uitgegooi!

35 Jesus het gehoor dat hulle hom uitgegooi het, en toe hy hom vind, het hy vir hom gevra:

“Stel jy geloof in die Seun van die mens?” **36** Die man het geantwoord: “Wie is hy, Meneer, sodat ek geloof in hom kan stel?” **37** Jesus het vir hom gesê: “Jy het hom gesien, en om die waarheid te sê, dit is hy wat met jou praat.” **38** Hy het gesê: “Ek stel geloof in hom, Here.” En hy het aan Jesus eer bewys.* **39** Jesus het toe gesê: “Vir hierdie oordeel het ek in hierdie wêreld ingekom, sodat dié wat nie sien nie, kan sien,^a en dié wat sien, blind kan word.”^b **40** Die Fariseërs wat by hom was, het hierdie dinge gehoor, en hulle het vir hom gesê: “Ons is tog nie ook blind nie, of hoe?” **41** Jesus het vir hulle gesê: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie. Maar nou sê julle: ‘Ons sien.’ Daarom bly julle skuldig aan julle sonde.”^{*c}

10 “Ek verseker julle: Hy wat nie by die deur van die skaapkraal ingaan nie maar iewers anders opklim, is ’n dief en ’n rower.^d **2** Maar hy wat by die deur ingaan, is die herder van die skape.^e **3** Die deurwagter maak vir hom oop,^f en die skape luister na sy stem.^g Hy roep sy eie skape op hulle name en lei hulle uit. **4** Wanneer hy al sy skape uitgebring het, gaan hy voor hulle uit, en die skape volg hom omdat hulle sy stem ken. **5** Hulle sal glad nie ’n vreemdeling volg nie, maar sal van hom af wegvlug, omdat hulle nie die stem van vreemdelinge ken nie.” **6** Jesus het hierdie vergelyking vir hulle vertel, maar hulle het nie verstaan wat hy vir hulle gesê het nie.

7 Daarom het Jesus weer gesê: “Ek sê vir julle: Ek is die deur vir die skape.^h **8** Almal wat in my plek gekom het, is

9:38 *Of “voor Jesus neergebuig”.
9:41 *Lett. “Julle sonde bly”.

HFST. 9

a Lu 4:18
Joh 12:46b Mt 11:25
Mt 13:13
Joh 3:19

c Joh 15:22

HFST. 10

d Mt 7:15

e Mt 26:31
Mr 14:27
Joh 10:11f Lu 1:17
Joh 3:28

g Joh 10:27

h Joh 14:6

Tweede kol.

a Joh 21:17

b Mt 7:15

c Ese 34:23
Mt 9:36d 1Sa 17:34, 35
Mt 20:28
Heb 13:20

e Joh 10:27

f Mt 11:27

g Mt 20:28
Joh 15:13
1Jo 3:16

h Lu 12:32

i Ese 34:23
Ese 37:24
1Pe 5:4

j Joh 17:23

k Jes 53:12
Flp 2:8
Heb 2:9
Heb 12:2

l Han 2:23, 24

m Lu 12:51
Joh 7:12
Joh 9:16

diewe en rowers, maar die skape het nie na hulle geluister nie. **9** Ek is die deur. Wie deur my ingaan, sal gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.^a **10** Die dief kom nie tensy dit is om te steel en te slag en te vernietig nie.^b Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed kan hê. **11** Ek is die goeie herder.^c Die goeie herder gee sy lewe* vir die skape.^d **12** ’n Gehuurde werker, wat nie ’n herder is nie en aan wie die skape nie behoort nie, verlaat die skape en vlug wanneer hy ’n wolf sien kom. Dan gryp die wolf hulle en jaag hulle uitmekaar. **13** Omdat hy ’n gehuurde werker is, gee hy nie vir die skape om nie. **14** Ek is die goeie herder. Ek ken my skape en my skape ken my,^e **15** net soos die Vader my ken en ek die Vader ken,^f en ek gee my lewe* vir die skape.^g

16 “Ek het ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie.^h Ek moet hulle ook inbring, en hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde onder een herder word.ⁱ **17** Daarom het die Vader my lief,^j omdat ek my lewe* gee,^k sodat ek dit weer kan ontvang. **18** Niemand neem dit van my af weg nie, maar ek gee dit uit my eie. Ek het gesag om dit te gee, en ek het gesag om dit weer te ontvang.^l Ek het hierdie gebod van my Vader ontvang.”

19 Daar het weer verdeeldheid onder die Jode ontstaan^m as gevolg van hierdie woorde. **20** Baie van hulle het gesê: “Hy het ’n demoon en is mal. Hoekom luister julle na hom?” **21** Ander het gesê: “Dit is nie die woorde van ’n man wat ’n demoon het nie. ’n Demoon kan

10:11, 15, 17 *Of “siel”.

tog nie blindes se oë open nie, of hoe?"

22 In daardie tyd het die Toewydingsfees in Jerusalem plaasgevind. Dit was winter, **23** en Jesus het in die tempel in die Pilaargang van Salomo geloop.^a **24** Toe het die Jode hom omring en vir hom begin sê: "Hoe lank gaan u ons* in spanning hou? As u die Christus is, sê dit dan reguit vir ons."

25 Jesus het hulle geantwoord: "Ek het vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die werke wat ek in die naam van my Vader doen, getuig oor my.^b **26** Maar julle glo nie, omdat julle nie my skape is nie.^c **27** My skape luister na my stem, en ek ken hulle, en hulle volg my.^d **28** Ek gee hulle die ewige lewe,^e en hulle sal beslis nooit vernietig word nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.^f **29** Wat my Vader my gegee het, is groter as alle ander dinge, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.^g **30** Ek en die Vader is een."^h

31 Toe het die Jode weer klippe opgetel om hom dood te gooi. **32** Jesus het vir hulle gesê: "Ek het julle heelwat goeie werke laat sien wat van die Vader af kom. Oor watter van daardie werke wil julle my doodgooi?" **33** Die Jode het hom geantwoord: "Ons wil jou nie doodgooi omdat jy 'n goeie werk gedoen het nie, maar omdat jy laster,ⁱ want jy maak jouself 'n god, al is jy net 'n mens." **34** Toe het Jesus vir hulle gesê: "Staan daar nie in julle Wet geskryf: 'Ek het gesê: "Julle is gode"^{**j} nie? **35** 'n Skrifgedeelte is nooit verkeerd nie. As mense teen wie die woord van God gerig is, dan 'gode'^k genoem word, **36** hoe kan julle vir my

10:24 *Of "ons siele". 10:30 *Of "in eenheid". 10:34 *Of "soos gode".

HFST. 10

a Han 3:11

b Joh 3:2
Joh 5:36
Joh 10:38
Joh 14:10
Han 2:22

c Joh 8:47

d Joh 10:3

e Joh 5:24
Joh 17:1, 2

f Joh 6:37
Joh 18:9

g 1Pe 1:4, 5

h Joh 10:38
Joh 17:11, 21

i Le 24:16

j Ps 82:6
1Kor 8:5

k Ps 82:1

Tweede kol.

a Lu 1:35
Joh 5:18

b Joh 5:36

c Joh 14:10
Joh 17:21

d Joh 1:28

e Joh 1:29

HFST. 11

f Lu 10:38

g Mt 26:6, 7
Mr 14:3
Joh 12:3

h Joh 9:13

wat deur die Vader geheilig en in die wêreld ingestuur is, sê dat ek laster omdat ek gesê het: 'Ek is God se Seun'?"^a **37** As ek nie die werke van my Vader doen nie, moet my dan nie glo nie. **38** Maar as ek dit wel doen, glo dan die werke,^b al glo julle my nie, sodat julle kan leer en kan aanhou glo dat die Vader in eenheid met my is, en ek in eenheid met die Vader."^c **39** Daarom het hulle hom weer gevange probeer neem, maar hy het van hulle af weggekrom.

40 Toe het hy weer na die oorkant van die Jordaanrivier gegaan, na die plek waar Johannes mense aan die begin gedoop het,^d en hy het daar gebly.

41 En baie mense het na hom toe gekom en begin sê: "Johannes het nou wel nie 'n enkele wonderwerk* gedoen nie, maar alles wat Johannes oor hierdie man gesê het, was waar."^e **42** En baie het daar geloof in hom gestel.

11 'n Man met die naam La'sarus was siek. Hy was van Beta'nië, die dorpie waar Maria en haar suster Marta^f gewoon het. **2** Dit was die Maria wat lekkerruik-olie op die Here gegooi het en sy voete met haar hare afgedroog het.^g La'sarus, die man wat siek was, was haar broer. **3** Daarom het sy susters vir Jesus 'n boodskap gestuur en gesê: "Here, kyk! die een vir wie u lief is, is siek." **4** Maar toe Jesus dit hoor, het hy gesê: "Hierdie siekte is nie bedoel om in die dood te eindig nie, maar is om God te verheerlik,^h sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

5 Jesus was lief vir Marta en haar suster en La'sarus. **6** Toe hy hoor dat La'sarus siek is, het hy egter nog twee dae

10:41 *Lett. "teken".

op die plek gebly waar hy was. **7** Daarna het hy vir die dissipels gesê: "Laat ons weer na Jude'a gaan." **8** Die dissipels het vir hom gesê: "Rabbi,^a 'n rukkie gelede wou die Judeërs u nog met klippe doodgooi,^b en gaan u nou weer soontoe?" **9** Jesus het geantwoord: "Daar is 12 uur daglik, nie waar nie?^c As iemand in die daglik loop, struikel hy oor niks nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien. **10** Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat die lig nie in hom is nie."

11 Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy bygevoeg: "La'sarus, ons vriend, het gaan slaap,^d maar ek gaan soontoe om hom wakker te maak." **12** Die dissipels het toe vir hom gesê: "Here, as hy slaap, sal hy gesond word." **13** Jesus het egter van sy dood gepraat. Maar hulle het gedink dat hy van gewone slaap praat. **14** Toe het Jesus reguit vir hulle gesê: "La'sarus het gesterf,^e **15** en ter wille van julle is ek bly dat ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom toe gaan." **16** Daarom het Tomas, wat die Tweeling genoem is, vir die ander dissipels gesê: "Laat ons ook gaan, sodat ons saam met hom kan sterf."^f

17 Toe Jesus daar aankom, het hy gevind dat La'sarus reeds vier dae in die graf is. **18** Beta'nië was naby Jerusalem, omtrent drie kilometer* daarvandaan. **19** En baie van die Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle oor hulle broer te troos. **20** Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy na hom toe gegaan, maar Maria^g het by die huis gebly. **21** Marta het toe vir Jesus gesê: "Here, as u

11:18 *Lett. "omtrent 15 stadie". Sien Aanh. B14.

HFST. 11

a Joh 1:38

b Joh 8:59
Joh 10:31

c Joh 9:4
Joh 12:35

d Ps 13:3
Mt 9:24
Han 7:59, 60
1Kor 15:6

e Pr 9:5

f Joh 11:8

g Lu 10:38, 39

Tweede kol.

a Jes 26:19
Joh 5:28, 29
Han 24:15
Heb 11:35
Op 20:12

b Joh 14:6

c Joh 8:51

d Mt 23:8
Joh 13:13

e Joh 11:17

f Lu 19:41
Heb 4:15

hier was, sou my broer nie gesterf het nie. **22** En tog weet ek selfs nou dat God u alles sal gee wat u van God vra." **23** Jesus het vir haar gesê: "Jou broer sal opstaan." **24** Marta het vir hom gesê: "Ek weet dat hy in die opstanding^a op die laaste dag sal opstaan." **25** Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe.^b Wie geloof in my beoefen, sal lewend word, selfs al sterf hy, **26** en elkeen wat lewe en geloof in my beoefen, sal nooit sterf nie.^c Glo jy dit?" **27** Sy het vir hom gesê: "Ja, Here, ek glo dat u die Christus is, die Seun van God, die een wat in die wêreld sou inkom." **28** Toe sy dit gesê het, het sy weggegaan en haar suster Maria geroep en vir haar gefluister: "Die Leermeester^d is hier en hy roep jou." **29** Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en na hom toe gegaan.

30 Jesus het nog nie in die dorpie ingekom nie, maar hy was nog op die plek waar Marta hom ontmoet het. **31** Toe die Jode wat saam met Maria in die huis was en haar getroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle haar gevolg, en hulle het gedink dat sy na die graf^e toe gaan om daar te huil. **32** Toe Maria by Jesus kom en hom sien, het sy voor sy voete neergeval en vir hom gesê: "Here, as u hier was, sou my broer nie gesterf het nie." **33** Toe Jesus sien dat sy huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het hy in sy binneste* gekreun en ontsteld geword. **34** Hy het gevra: "Waar het julle hom neergelê?" Hulle het vir hom gesê: "Here, kom kyk." **35** Jesus het gehuil.^f **36** Daarom het die Jode begin sê: "Kyk hoe lief was hy

11:33 *Lett. "in die gees".

vir hom!" **37** Maar party van hulle het gevra: "Kon hierdie man wat die oë van die blinde man geopen het,^a nie gekeer het dat hy sterf nie?"

38 Toe het Jesus, nadat hy weer in sy binneste gekreun het, by die graf gekom. Dit was in werklikheid 'n grot, en 'n klip het daarteen gelê. **39** Jesus het gesê: "Neem die klip weg." Marta, die suster van die oorledene, het vir hom gesê: "Here, hy moet nou al ruik, want dit is al vier dae." **40** Jesus het vir haar gevra: "Het ek nie vir jou gesê dat jy die heerlikheid van God sal sien as jy glo nie?"^b **41** Toe het hulle die klip weggeneem. Jesus het na die hemel opgekyk^c en gesê: "Vader, ek dank u dat u na my geluister het. **42** Ek het geweet dat u altyd na my luister, maar ek het gepraat weens die skare wat rondom my staan, sodat hulle kan glo dat u my gestuur het."^d **43** Toe hy hierdie dinge gesê het, het hy met 'n harde stem uitgeroep: "La'sarus, kom uit!"^e **44** Die man wat dood was, het uitgekóm. Sy hande en voete was met grafdoeke gebind, en sy gesig was met 'n doek toegedraai. Jesus het vir hulle gesê: "Maak hom los en laat hom gaan."

45 Baie van die Jode wat na Maria toe gekom het en gesien het wat hy gedoen het, het geloof in hom gestel,^f **46** maar party van hulle het na die Fariseërs toe gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het. **47** Toe het die hoofpriesters en die Fariseërs die Sanhedrin bymekaargerœp en gesê: "Wat moet ons doen, want hierdie man doen baie wonderwerke?"^g **48** As ons hom so laat aangaan, sal hulle almal geloof

HFST. 11

a Joh 9:6, 7

b Joh 9:1-3

c Mt 14:19
Mr 7:34, 35d Joh 12:28-30
Joh 17:8

e Lu 7:12, 14

f Joh 2:23
Joh 10:42
Joh 12:10, 11g Joh 12:37
Han 4:15, 16

Tweede kol.

a Mt 26:3
Lu 3:2
Han 4:5, 6b 2Sa 13:23
2Kr 13:19c Eks 12:14
De 16:1
Joh 2:13
Joh 5:1
Joh 6:4
Joh 12:1

HFST. 12

d Joh 11:1, 43

in hom stel, en die Romeine sal kom en ons plek* sowel as ons nasie wegneem." **49** Maar een van hulle, Ka'jafas,^a wat daardie jaar hoëpriester was, het vir hulle gesê: "Julle verstaan geheel en al niks nie. **50** Julle het nie daaraan gedink dat dit tot julle voordeel is dat een mens eerder vir die volk sterf as dat die hele nasie vernietig word nie." **51** Hy het dit egter nie uit sy eie gesê nie. Omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterf, **52** en nie net vir die nasie nie, maar ook om die kinders van God wat oral versprei is, in eenheid bymekaar te bring. **53** Daarom het hulle van daardie dag af planne beëraam om hom dood te maak.

54 Jesus het dus nie meer openlik onder die Jode rondbeveeg nie, maar hy het daarvan aantrek om na die gebied naby die wildernis te gaan, na 'n stad wat E'fraim^b genoem word, en daar het hy saam met die dissipels gebly. **55** En die Pasgac van die Jode was naby, en baie mense het voor die Pasga uit die platteland na Jerusalem gegaan om hulle seremonieel te reinig. **56** Hulle het na Jesus gesoek, en terwyl hulle in die tempel rondgestaan het, het hulle vir mekaar gevra: "Wat dink julle? Sal hy glad nie na die fees toe kom nie?" **57** Maar die hoofpriesters en die Fariseërs het beveel dat iemand wat uitvind waar Jesus is, dit moet rapporteer, sodat hulle hom gevang kan neem.

12 Ses dae voor die Pasga het Jesus in Beta'nië aangekom, waar La'sarus^d was, wat deur Jesus uit die dood opgewek is. **2** Daar het hulle vir

11:47 * Lett. "tekens".

11:48 * D.w.s. die tempel.

hom 'n aandete voorberei, en Marta het hulle bedien.^a La'sarus was een van dié wat saam met hom geëet het. **3** Maria het toe 'n pond* lekkerruik-olie geneem, egte nardus, baie duur, en sy het dit op Jesus se voete gegooi en sy voete met haar hare afgedroog. Die huis is gevul met die reuk van die olie.^b

4 Maar Judas Iska'riot,^c een van sy dissipels, wat op die punt gestaan het om hom te verraaai, het gevra: **5** "Hoekom is hierdie olie nie vir 300 dena'rui* verkoop en die geld vir die armes gegee nie?" **6** Maar hy het dit nie gesê omdat hy bekommerd was oor die armes nie. Hy het dit eerder gesê omdat hy 'n dief was en die geldkissie gehad het en dikwels die geld daarin gesteel het. **7** Toe het Jesus gesê: "Los haar, sodat sy dit kan doen om my liggaam vir my begrafnis voor te berei.^d **8** Want julle het altyd die armes by julle,^e maar julle sal my nie altyd hê nie."^f

9 Intussen het 'n groot groep Jode uitgevind dat hy daar is, en hulle het nie net gekom om Jesus te sien nie, maar ook om La'sarus te sien, wat hy uit die dood opgewek het.^g **10** Die hoofpriesters het toe planne beraam om La'sarus ook dood te maak, **11** want as gevolg van hom het baie van die Jode daarheen gegaan en geloof in Jesus gestel.^h

12 Die volgende dag het die groot skare wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. **13** Toe het hulle takke van palmbome gevat en uitgegaan om hom te ontmoet, en hulle het begin uitroep: "Red hom, asseblief! Ge-

12:3 *D.w.s. 'n Romeinse pond, omtrent 327 g. Sien Aanb. B14. 12:5 *Sien Aanb. B14.

HFST. 12

a Lu 10:40

b Mt 26:6-10
Mr 14:3-6

c Mt 26:47
Mr 14:10
Lu 22:48
Joh 13:29
Han 1:16

d Mt 26:12
Mr 14:8
Joh 19:40

e De 15:11

f Mt 26:11
Mr 14:7

g Joh 11:43, 44

h Joh 7:31
Joh 11:44, 45

Tweede kol.

a Ps 118:25, 26

b Mt 21:8, 9
Mr 11:8, 9
Joh 1:49

c Mt 21:7
Mr 11:7
Lu 19:35

d 1Kn 1:33, 34
Jes 62:11
Sag 9:9
Mt 21:5

e Joh 7:39

f Lu 24:45
Joh 14:26

g Joh 11:1, 43

h Mt 21:15
Lu 19:37

i Joh 11:48

j Joh 1:44

k Joh 13:31, 32
Joh 17:1

l Mt 16:21
Ro 14:9
1Kor 15:36

seënd is die een wat in Jehovah* se naam kom,^a die Koning van Israel!"^b **14** Toe Jesus 'n jong donkie gevind het, het hy daarop gaan sit,^c net soos daar geskryf is: **15** "Moenie bang wees nie, dogter van Sion. Jou koning kom, en hy sit op die vul* van 'n donkie."^d **16** Eers het sy dissipels nie hierdie dinge verstaan nie, maar toe Jesus verheerlik is,^e het hulle ont hou dat hierdie dinge oor hom geskryf was en dat hulle hierdie dinge aan hom gedoen het.^f

17 En die skare wat saam met hom was toe hy La'sarus uit die graf geroep^g en uit die dood opgewek het, het aangehou om ander daarvan te vertel.^h **18** Daarom het die skare ook na hom toe gegaan, want hulle het gehoor dat hy hierdie teken gedoen het. **19** Die Fari-seërs het dus onder mekaar gesê: "Sien julle? Ons bereik absoluut niks nie. Kyk! Die hele wêreld het agter hom aan geloop."ⁱ

20 Daar was 'n paar Grieke onder dié wat gekom het om by die fees te aanbid. **21** Hulle het na Filippus/ toe gegaan, wat van Betsai'da in Galile'a was, en hulle het vir hom gesê: "Meneer, ons wil Jesus sien." **22** Filippus het gekom en dit vir Andre'as vertel. Andre'as en Filippus het gekom en dit vir Jesus vertel.

23 Maar Jesus het hulle geantwoord: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.^k **24** Ek sê vir julle: As 'n koringkorrel nie op die grond val en sterf nie, sal dit net een korrel bly, maar as dit wel sterf,^l sal dit baie vrug dra. **25** Enigiemand wat lief is vir sy lewe,* vernie-

12:13 *Sien Aanb. A5. 12:15 *Of "hingsvul". 12:25 *Of "siel".

tig dit, maar enigiemand wat sy lewe* in hierdie wêreld haat,^a sal dit vir die ewige lewe veilig bewaar.^b **26** As iemand my wil dien, moet hy my volg, en waar ek is, daar sal my dienaar ook wees.^c As iemand my wil dien, sal die Vader hom eer. **27** Nou is ek* diep ontsteld,^d en wat moet ek sê? Vader, red my uit hierdie uur.^e Tog het ek juis vir hierdie uur gekom. **28** Vader, verheerlik u naam.” Toe het ’n stem^f uit die hemel gekom: “Ek het dit verheerlik en sal dit weer verheerlik.”^g

29 Die skare wat daar gestaan het, het dit gehoor en begin sê dat daar ’n donderslag was. Ander het gesê: “’n Engel het met hom gepraat.” **30** Jesus het geantwoord: “Hierdie stem het nie ter wille van my gepraat nie, maar ter wille van julle. **31** Nou vind daar ’n oordeel van hierdie wêreld plaas. Nou sal die heerser van hierdie wêreld^h uitgedryf word.ⁱ **32** En tog sal ek, as ek van die aarde af opgelig* word,^j alle soorte mense na my toe trek.” **33** Hy het dit in werklikheid gesê om aan te dui op watter manier hy binnekort sou sterf.^k **34** Toe het die skare hom geantwoord: “Ons het uit die Wet gehoor dat die Christus vir ewig bly.^l Hoe kan u sê dat die Seun van die mens van die aarde af opgelig moet word?^m Wie is hierdie Seun van die mens?” **35** Jesus het dus vir hulle gesê: “Die lig sal nog ’n klein rukkie onder julle wees. Loop terwyl julle nog die lig het, sodat duisternis julle nie oorweldig nie. Enigiemand wat in die duisternis loop, weet nie waarheen hy gaan nie.ⁿ **36** Terwyl julle die lig het, moet julle geloof in die lig beoefen,

12:25 *Of “siel”. 12:27 *Of “my siel”.
12:32 *D.w.s. aan ’n paal gehang.

HFST. 12

- a Op 12:11
b Mt 16:25
Mr 8:35
Lu 9:24
c Joh 14:3
Joh 17:24
1Te 4:17
d Mt 26:38
Mr 14:34
e Lu 12:50
Lu 22:41, 42
Heb 5:7
f Mt 3:17
Mt 17:5
Mr 1:11
Mr 9:7
Lu 3:22
Lu 9:35
2Pe 1:17
g Joh 17:1
h Joh 14:30
Joh 16:11
Han 26:17, 18
2Kor 4:3, 4
Ef 2:1, 2
1Jo 5:19
i Lu 10:18
Op 12:9
j Joh 8:28
k Han 5:30
l Ps 89:35, 36
Ps 110:4
Jes 9:7
m Joh 3:14
n Joh 11:10

Tweede kol.

- a Ef 5:8
b Ro 10:16
c Jes 53:1
d Jes 6:10
Mt 13:14
Mr 4:11, 12
Han 28:27
e Jes 6:1, 8
f Joh 19:38
g Joh 9:22
Joh 16:2
h Joh 5:44
i Mt 10:40
Mr 9:37
j Joh 14:9
k Joh 3:19
Joh 8:12
Joh 9:5
l Joh 12:35

sodat julle kinders van die lig kan word.”^a

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het hy weggegaan, en die mense het nie geweet waar hy is nie. **37** Al het hy so baie wonderwerke* voor hulle gedoen, het hulle nie geloof in hom gestel nie, **38** sodat die woorde van die profeet Jesaja vervul kan word: “Jehovah,* wie het geloof gestel in wat ons gesê het?”^b En aan wie is die mag[#] van Jehovah* geopenbaar?”^c **39** Die rede waarom hulle nie kon glo nie, is omdat Jesaja ook gesê het: **40** “Hy het hulle oë verblind en hulle hart hard gemaak, sodat hulle nie met hulle oë kon sien en met hulle hart kon verstaan en kon omdraai sodat hulle deur my genees kon word nie.”^d **41** Jesaja het hierdie dinge gesê omdat hy Christus se heerlikheid gesien het, en hy het van hom gepraat.^e **42** Tog het selfs baie van die leiers geloof in hom gestel,^f maar omdat hulle bang was vir die Fariseërs, wou hulle dit nie erken nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie,^g **43** want hulle wou eerder deur mense geëer word as deur God.^h

44 Jesus het egter uitgeroep: “Enigiemand wat geloof in my stel, stel nie net geloof in my nie, maar ook in hom wat my gestuur het.ⁱ **45** en enigiemand wat my sien, sien ook die Een wat my gestuur het.^j **46** Ek het as ’n lig in die wêreld ingekom,^k sodat elkeen wat geloof in my stel, nie in die duisternis sal bly nie.^l **47** Maar as iemand my woorde hoor en dit nie gehoorsaam nie, oordeel ek hom nie, want ek het nie gekom om

12:37 *Lett. “tekens”. 12:38 *Sien Aanh. A5. #Lett. “arm”.

die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.^a **48** Enigiemand wat my verwerp en nie my woorde aanvaar nie, het iemand wat hom sal oordeel. Die woorde wat ek gesê het, sal hom op die laaste dag oordeel. **49** Want ek het nie uit my eie gepraat nie, maar die Vader wat my gestuur het, het vir my 'n opdrag gegee oor wat om te sê en wat om te verkondig.^b **50** En ek weet dat sy opdrag die ewige lewe beteken.^c Alles wat ek dus sê, sê ek net soos die Vader vir my gesê het.”^d

13 Jesus het voor die Pasgafees geweet dat sy uur gekom het^e om hierdie wêreld te verlaat en na die Vader toe te gaan.^f Hy was lief vir sy volgelinge wat in die wêreld was, en hy het hulle tot die einde toe liefgehad.^g **2** Die aandmaal was aan die gang, en die Duiwel het reeds die gedagte om Jesus te verrai in die hart van Judas Iskariot,^h die seun van Simon, gesit.ⁱ **3** Jesus, wat geweet het dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat hy van God af gekom het en na God toe gaan,^j **4** het van die tafel af opgestaan en sy bo-klere eenkant gesit. Hy het 'n handdoek geneem en dit om sy middel vasgebind.^k **5** Daarna het hy water in 'n kom gegooi en begin om die dissipels se voete te was en dit af te droog met die handdoek wat hy om sy middel gehad het. **6** Toe het hy by Simon Petrus gekom. Hy het vir hom gevra: “Here, gaan u my voete was?” **7** Jesus het hom geantwoord: “Wat ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar jy sal dit later verstaan.” **8** Petrus het vir hom gesê: “Ek sal beslis nooit toelaat dat u my voete was nie.” Jesus het hom geantwoord: “Tensy ek jou was,^l kan jy nie ontvang

HFST. 12

a Joh 3:16, 17

b Joh 8:38
Joh 14:10

c Joh 6:40

d Joh 3:34

HFST. 13

e Mt 26:2
Joh 12:23
Joh 17:1f Joh 16:28
Joh 17:11g Joh 15:9
Ef 5:2
1Jo 3:16h Lu 22:3, 4
Joh 13:27i Mt 26:14-16
Mt 26:24
Mr 14:10, 11

j Joh 16:28

k Flp 2:5-7

l 1Kor 6:11
Ef 5:25, 26
Tit 3:5
Heb 10:22

Tweede kol.

a Joh 6:64

b Mt 23:8

c Lu 22:27

d Mt 20:26, 27
Lu 9:48
Lu 22:26
Ro 12:10
1Pe 5:5e Flp 2:5
1Pe 2:21
1Jo 2:6f Mt 7:24, 25
Lu 11:28
Jak 1:25

g Joh 17:12

h Ps 41:9
Mt 26:23i Joh 14:29
Joh 16:4

j Mt 25:40

wat ek gaan ontvang nie.” **9** Simon Petrus het vir hom gesê: “Here, moenie net my voete was nie, maar was ook my hande en my kop.” **10** Jesus het vir hom gesê: “Enigiemand wat gebad het, hoef niks meer as sy voete te laat was nie, want hy is heeltemal skoon. En julle is skoon, maar nie julle almal nie.” **11** Hy het geweet wie hom gaan verrai,^a en daarom het hy gesê: “Julle is nie almal skoon nie.”

12 Nadat hy hulle voete ge- was het en sy bo-klere aange- trek het, het hy weer aan tafel gegaan en vir hulle gesê: “Ver- staan julle wat ek vir julle ge- doen het? **13** Julle noem my ‘Leermeester’ en ‘Here’, en jul- le is reg, want dit is wat ek is.^b **14** As ek, die Here en Leer- meester, julle voete ge- was het,^c dan behoort julle ook* mekaar se voete te was.^d **15** Want ek het vir julle die voorbeeld ge- stel sodat julle ook moet doen wat ek vir julle gedoen het.^e

16 Ek verseker julle: ‘n Slaaf is nie groter as sy meester nie, en iemand wat gestuur is, is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. **17** Noudat julle hierdie dinge weet, sal julle gelukkig wees as julle dit doen.^f

18 Ek praat nie van julle almal nie. Ek weet wie ek uitgekies het. Maar dit was sodat die vol- gende Skrifgedeelte vervul kan word:^g ‘Die een wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my opgelig.’^h **19** Ek sê dit nou vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan weet dat hierdie Skrifgedeelte van my praat wan- neer dit gebeur.ⁱ **20** Ek ver- seker julle: Enigiemand wat die een ontvang wat ek stuur, ont- vang my ook,^j en enigiemand

13:14 *Of “dan is julle ook onder ver- pligting om”. **13:18** *Of “het teen my gedraai”.

wat my ontvang, ontvang ook die Een wat my gestuur het.”^a

21 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het hy baie ontsteld geword, en hy het reguit gesê: “Hiervan kan julle seker wees: Een van julle sal my verraai.”^b

22 Die dissipels het na mekaar begin kyk, en hulle het nie geweet van wie hy praat nie.^c

23 Een van die dissipels, die een vir wie Jesus lief was,^d het naby Jesus* gelê. **24** Simon Petrus het dus vir hom geknik en vir hom gesê: “Sê vir ons van wie hy praat.” **25** Toe het hierdie dissipel teen Jesus se bors teruggeleun en vir hom gevra: “Here, wie is dit?”^e

26 Jesus het geantwoord: “Dit is die een vir wie ek die stukkie brood sal gee wat ek in die bak steek.”^f En nadat hy die brood in die bak gestee het, het hy dit vir Judas, die seun van Simon Iska’riot, gegee. **27** Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het Satan in hom ingevaar.^g Toe het Jesus vir hom gesê: “Wat jy doen, doen dit nog gouer.”

28 Maar niemand aan tafel het geweet hoekom hy dit vir hom gesê het nie. **29** Omdat Judas die geldkissie gehad het,^h het party gedink dat Jesus vir hom sê om te koop wat hulle vir die fees nodig het of om iets vir die armes te gee. **30** Nadat hy die stukkie brood gevat het, het hy onmiddellik uitgegaan. Dit was donker buite.ⁱ

31 Nadat hy uitgegaan het, het Jesus gesê: “Van nou af sal die Seun van die mens geëer word,^j en as gevolg van hom sal God geëer word. **32** God self sal die Seun van die mens verheerlik,^k en Hy sal dit onmiddellik doen. **33** My liewe vriende,* ek is nog ’n rukkjie by julle. Julle

sal my soek, maar wat ek vir die Jode gesê het, sê ek nou ook vir julle: ‘Waarheen ek gaan, kan julle nie gaan nie.’^a **34** Ek gee julle ’n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos ek julle liefgehad het,^b moet julle ook mekaar liefhê.^c **35** So sal almal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde vir mekaar het.”^d

36 Simon Petrus het vir hom gevra: “Here, waarheen gaan u?” Jesus het geantwoord: “Waarheen ek gaan, kan jy my nie nou volg nie, maar jy sal later volg.”^e

37 Petrus het vir hom gesê: “Here, hoekom kan ek u nie nou volg nie? Ek sal my lewe* vir u gee.”^f **38** Jesus het geantwoord: “Sal jy jou lewe* vir my gee? Ek verseker jou: ’n Haan sal beslis nie kraai voordat jy drie keer gesê het dat jy my nie ken nie.”^g

14 “Moenie dat julle hart te ontsteld word nie.^h Beoefen geloof in God,ⁱ en beoefen ook geloof in my. **2** In die huis van my Vader is daar baie wonings. As dit nie so was nie, sou ek dit vir julle gesê het, maar ek gaan om vir julle ’n plek voor te berei.^j **3** En as ek vir julle ’n plek gaan voorberei, sal ek weer kom en julle saam met my neem, sodat julle ook kan wees waar ek is.^k **4** Julle ken die weg na die plek waarheen ek gaan.”

5 Tomas^l het vir hom gesê: “Here, ons weet nie waarheen u gaan nie. Hoe kan ons die weg ken?”

6 Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg^m en die waarheidⁿ en die lewe.^o Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.^p **7** As julle my geken het, sou julle ook my Vader geken het. Van nou af ken julle hom en het julle hom gesien.”^q

13:23 *Lett. “het voor Jesus se bors”.
13:33 *Lett. “Kindertjies”.

HFST. 13

a Mt 10:40

b Mt 26:21

Mr 14:18

Lu 22:21

Joh 6:70

c Mt 26:22

Lu 22:23

d Joh 19:26

Joh 20:2

e Joh 21:20

f Mt 26:23

g Lu 22:3, 4

h Joh 12:4-6

i Mt 26:20

j Joh 12:23

k Joh 17:1

Tweede kol.

a Joh 7:34

Joh 8:21

b Joh 15:9

c Le 19:18

Joh 15:12

1Te 4:9

Jak 2:8

1Pe 1:22

1Jo 3:14

d Ro 13:8

1Kor 13:8, 13

1Jo 4:20

e Joh 14:3

f Mt 26:33

Mr 14:29

Lu 22:33

g Mt 26:34

Mr 14:30

Lu 22:34

Joh 18:27

HFST. 14

h Joh 14:27

i Mr 11:22

1Pe 1:21

Lu 12:32

1Pe 1:3, 4

k Joh 17:24

Ro 8:17

Flp 1:23

1Te 4:16, 17

l Joh 11:16

m Joh 10:9

Ef 2:18

Heb 10:19, 20

n Joh 1:17

Ef 4:21

o Joh 1:4

Joh 6:63

Joh 17:3

Ro 6:23

p Han 4:12

q Mt 11:27

Joh 1:18

13:37, 38 *Of “siel”.

8 Filippus het vir hom gesê: "Here, wys vir ons die Vader, en dit sal vir ons genoeg wees."

9 Jesus het vir hom gesê: "Ek is nou al so lank by julle, Filippus. Hoe is dit dat jy my nog nie leer ken het nie? Enigiemand wat my gesien het, het ook die Vader gesien.^a Hoekom sê jy dan: 'Wys vir ons die Vader'? 10 Glo jy nie dat ek in eenheid met die Vader is en die Vader in eenheid met my nie?^b Die dinge wat ek vir julle sê, sê ek nie uit my eie nie,^c maar die Vader wat in eenheid met my bly, doen sy werke. 11 Glo my wanneer ek sê dat ek in eenheid met die Vader en die Vader in eenheid met my is. Of glo dan as gevolg van my werke.^d 12 Ek sê vir julle: Enigiemand wat geloof in my beoefen, sal ook self die werke doen wat ek doen, en hy sal nog groter werke doen,^e want ek gaan na die Vader toe.^f 13 En enigiets wat julle in my naam vra, sal ek doen, sodat die Vader as gevolg van die Seun geëer kan word.^g 14 As julle enigiets in my naam vra, sal ek dit doen.

15 "As julle my liefhet, sal julle aan my gebooië gehoorsaam wees.^h 16 En ek sal die Vader vra, en hy sal julle 'n ander helper* gee om vir ewig by julle te wees.ⁱ 17 Dit is die gees van die waarheid,^j wat die wêreld nie kan ontvang nie, want die wêreld sien dit nie en ken dit ook nie.^k Julle ken dit, omdat dit by julle bly en in julle is. 18 Ek sal julle nie soos weeskinders agterlaat nie. Ek kom na julle toe.^l 19 Oor 'n rukkie sal die wêreld my nie meer sien nie, maar julle sal my sien,^m omdat ek lewe en julle sal lewe. 20 In daardie dag sal julle weet dat ek in eenheid met

HFST. 14

- a Joh 12:45
Kol 1:15
Heb 1:3
b Joh 10:38
Joh 17:21
c Joh 7:16
Joh 8:28
Joh 12:49
d Joh 5:36
e Mt 21:21
Han 1:8
Han 2:41
f Han 2:32, 33
g Joh 15:16
Joh 16:23
h Joh 13:34
Joh 15:10
Jak 1:22
i Lu 24:49
Joh 15:26
Joh 16:7
Han 1:5
Han 2:1, 4
Ro 8:26
j Mt 10:19, 20
Joh 16:13
1Kor 2:12
1Jo 2:27
k 1Kor 2:14
l Mt 28:20
m Han 10:40, 41

Tweede kol.

- a Joh 10:38
Joh 17:21
b Lu 6:13, 16
Han 1:13
c Joh 15:10
d 1Jo 2:24
Op 3:20
e Joh 5:19
Joh 7:16
Joh 12:49
f Lu 24:49
Joh 15:26
Joh 16:13
1Jo 2:27
g Joh 16:33
Ef 2:14
Flp 4:6, 7
Kol 3:15
2Te 3:16
h Joh 20:17
1Kor 11:3
1Kor 15:28
Flp 2:5, 6
i Joh 13:19
Joh 16:4
j Joh 12:31
Joh 16:11

my Vader is en julle in eenheid met my en ek in eenheid met julle.^a 21 Enigiemand wat my gebooië aanvaar en dit gehoorsaam, is lief vir my. En my Vader sal lief wees vir enigiemand wat lief is vir my, en ek sal lief wees vir daardie persoon en my duidelik aan hom openbaar."

22 Judas^b (nie Judas Iskariot nie) het vir hom gevra: "Here, hoekom wil u uself duidelik aan ons openbaar en nie aan die wêreld nie?"

23 Jesus het vir hom gesê: "As iemand my liefhet, sal hy my woord gehoorsaam,^c en my Vader sal lief wees vir hom, en ons sal na hom toe kom en ons woning by hom maak.^d 24 Enigiemand wat nie lief is vir my nie, gehoorsaam nie my woorde nie. Die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar behoort aan die Vader wat my gestuur het.^e

25 "Ek het hierdie dinge vir julle gesê terwyl ek nog by julle is. 26 Maar die helper, die heilige gees, wat die Vader in my naam sal stuur, sal julle alles leer en julle aan alles herinner wat ek julle vertel het.^f 27 Terwyl ek nog by julle is, sal ek aanhou om julle die vrede te gee wat julle nou geniet.^g Die vrede wat ek julle gee, is anders as die vrede wat die wêreld julle gee. Moenie dat julle harte bekommerd of bang word nie. 28 Julle het gehoor dat ek vir julle gesê het: 'Ek gaan weg en ek kom terug na julle toe. As julle lief was vir my, sou julle bly wees dat ek na die Vader toe gaan, want die Vader is groter as ek.^h 29 En nou het ek dit vir julle vertel voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit wel gebeur.ⁱ 30 Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die heerser van die wêreld kom,^j en

hy het geen mag oor* my nie.^a **31** Maar sodat die wêreld kan weet dat ek lief is vir die Vader, doen ek alles wat die Vader my beveel het om te doen.^b Staan op, laat ons hier weggaan.

15 “Ek is die ware wingerdstok, en my Vader is die landbouer. **2** Hy neem elke takkie in my weg wat nie vrugte dra nie, en hy maak elke takkie skoon wat wel vrugte dra, sodat dit nog meer vrugte kan dra.^c **3** Julle is reeds skoon weens die woorde wat ek vir julle gesê het.^d **4** Bly in eenheid met my, en ek sal in eenheid met julle bly. 'n Takkie kan nie vanself vrugte dra as dit nie in die wingerdstok bly nie, en net so kan julle ook nie vrugte dra as julle nie in eenheid met my bly nie.^e **5** Ek is die wingerdstok, en julle is die takkies. As iemand in eenheid met my bly en ek in eenheid met hom, sal hy baie vrugte dra,^f want sonder my kan julle niks doen nie. **6** As iemand nie in eenheid met my bly nie, sal hy soos 'n takkie wees wat uitgegooi en uitgedroog is. Die mense maak sulke takkies bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit word verbrand. **7** As julle in eenheid met my bly en my woorde in julle bly, kan julle vra wat julle ook al wil, en dit sal aan julle gegee word.^g **8** As julle baie vrugte bly dra en bewys dat julle my dissipels is, gee dit eer aan my Vader.^h **9** Net soos die Vader my liefgehad het,ⁱ het ek julle liefgehad. Bly in my liefde. **10** As julle my gebooie gehoorsaam, sal julle in my liefde bly, net soos ek die Vader se gebooie gehoorsaam het en in sy liefde bly.

11 “Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat julle die vreugde

14:30 *Of “houvas op”.

HFST. 14

a Joh 16:33
b Joh 10:18
Joh 12:49
Joh 15:10
Flp 2:8

HFST. 15

c 2Pe 1:8
d Joh 13:10
Joh 17:17
e Joh 6:56
1Kor 12:27
Ef 4:16
f Joh 15:16
g Mt 7:7
Joh 16:23
h Mt 5:16
Joh 13:35
Flp 1:9,11
i Joh 3:35

Tweede kol.

a Joh 16:24
Joh 17:13
b Mr 12:31
Joh 13:34
1Te 4:9
1Pe 4:8
c Joh 10:11
Ro 5:7,8
Ef 5:1,2
1Jo 3:16
d Mt 12:50
Joh 14:23
e Joh 14:13
f Joh 13:34
1Jo 3:23
g Mt 10:22
Joh 17:14
h Jak 4:4
i Lu 6:22
Joh 17:14
1Pe 4:4
j Mt 5:11
Mt 10:22
Mt 24:9
2Ti 3:12
1Pe 2:21
k Joh 16:2,3
l Joh 9:41
m Mt 11:21
n Joh 5:23
1Jo 2:23

wat ek het, ten volle kan ervaar.^a

12 Dit is my gebod: Julle moet mekaar liefhê net soos ek julle liefgehad het.^b **13** Niemand het groter liefde as iemand wat sy lewe* vir sy vriende gee nie.^c

14 Julle is my vriende as julle doen wat ek julle beveel.^d **15** Ek noem julle nie meer sla-we nie, want 'n slaaf weet nie wat sy meester doen nie. Maar ek noem julle vriende, want ek het julle alles vertel wat ek by my Vader gehoor het. **16** Julle het my nie uitgekies nie, maar ek het julle uitgekies, en ek het julle aangestel om te gaan en aan te hou om vrugte te dra – vrugte wat blywend sal wees – sodat wat julle die Vader ook al in my naam vra, hy vir julle sal gee.^e

17 “Ek beveel julle hierdie dinge sodat julle mekaar kan liefhê.^f **18** As die wêreld julle haat, weet julle dat dit my gehaat het voordat dit julle gehaat het.^g **19** As julle deel van die wêreld was, sou die wêreld lief wees vir wat syne is. Omdat julle egter geen deel van die wêreld is nie,^h maar ek julle uit die wêreld uitgekies het, haat die wêreld julle.ⁱ **20** Onthou wat ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie groter as sy meester nie. As hulle my vervolg het, sal hulle julle ook vervolg.^j As hulle my woord gehoorsaam het, sal hulle julle woord ook gehoorsaam. **21** Maar hulle sal al hierdie dinge aan julle doen as gevolg van my naam, omdat hulle die Een wat my gestuur het, nie ken nie.^k **22** As ek nie gekom het en met hulle gepraat het nie, sou hulle geen sonde hê nie,^l maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie.^m **23** Enigiemand wat my haat, haat ook my Vader.ⁿ **24** Ek het

15:13 *Of “siel”.

werke onder hulle gedoen wat niemand anders gedoen het nie. As ek dit nie gedoen het nie, sou hulle geen sonde gehad het nie,^a maar nou het hulle my sowel as my Vader gesien en gehaat. **25** Maar dit het gebeur sodat wat in hulle Wet geskryf is, vervul kan word: ‘Hulle het my sonder rede gehaat.’^b **26** Wanneer die helper kom wat ek van die Vader na julle toe sal stuur, die gees van die waarheid,^c wat van die Vader af kom, sal daardie een van my getuig,^d **27** en julle moet ook van my getuig,^e omdat julle van die begin af saam met my was.

16 “Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat julle nie sal struikel nie. **2** Die mense sal julle uit die sinagoge ban.^f Om die waarheid te sê, die uur kom wanneer elkeen wat julle doodmaak,^g sal dink dat hy ’n heilige diens aan God verrig. **3** Maar hulle sal hierdie dinge doen omdat hulle my nie leer ken het nie, en ook nie die Vader nie.^h **4** Tog het ek hierdie dinge vir julle gesê sodat julle sal onthou dat ek dit vir julle gesê het wanneer die uur daarvoor aanbreek.ⁱ

“Ek het hierdie dinge nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat ek by julle was. **5** Maar nou gaan ek na die Een toe wat my gestuur het,^j maar nie een van julle vra my: ‘Waarheen gaan u?’ nie. **6** Omdat ek egter hierdie dinge vir julle gesê het, het julle baie hartseer geword.^k **7** Maar ek vertel julle die waarheid: Dit is vir julle eie beswil dat ek weggaan. Want as ek nie weggaan nie, sal die helper nie na julle toe kom nie, maar as ek gaan, sal ek hom na julle toe stuur. **8** En wanneer hy kom, sal hy vir die wêreld oortuigende bewyse gee in ver-

HFST. 15

a Mt 11:23
Joh 7:31
Joh 11:47

b Ps 35:19
Ps 69:4
Lu 23:22

c Lu 24:49
Joh 14:26

d 1Jo 5:6

e Lu 24:48
Han 1:8
Han 2:22
Han 5:32

HFST. 16

f Joh 9:22

g Mt 24:9
Han 8:1
Han 12:1, 2
Han 26:11

h Joh 8:19
Joh 15:20, 21
Ro 10:2
1Kor 2:8

i Joh 13:19
Joh 14:29

j Joh 7:33
Joh 13:3

k Joh 16:22

l Joh 14:16, 26
Joh 15:26
Han 2:32, 33

Tweede kol.

a Joh 15:22

b Joh 5:37, 38

c Joh 12:31
Joh 14:30

d Joh 16:7

e Han 11:28
Han 21:10, 11
1Ti 4:1

f 1Jo 4:2

g Joh 15:26
1Jo 2:27

h Joh 17:10

i Joh 7:33
Joh 14:19

band met sonde, regverdigheid en oordeel: **9** Eerstens in verband met sonde,^a omdat hulle nie geloof in my beoefen nie,^b **10** dan in verband met regverdigheid, omdat ek na die Vader toe gaan en julle my nie meer sal sien nie, **11** en dan in verband met oordeel, omdat die heerser van hierdie wêreld geoordeel is.^c

12 “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie. **13** Maar wanneer hy,^d die gees van die waarheid,^d kom, sal hy julle in die hele waarheid inlei, want hy sal nie uit sy eie praat nie, maar wat hy hoor, sal hy sê, en hy sal aan julle bekend maak wat nog moet gebeur.^e **14** Hy sal my verheerlik,^f want hy sal aan julle bekend maak wat hy van my ontvang.^g **15** Alles wat die Vader het, is myne.^h Daarom het ek gesê dat hy aan julle bekend maak wat hy van my ontvang. **16** Oor ’n klein rukkie sal julle my nie meer sien nie,ⁱ en oor ’n klein rukkie sal julle my weer sien.”

17 Toe het party van sy dissipels vir mekaar gesê: “Wat bedoel hy wanneer hy vir ons sê: ‘Oor ’n klein rukkie sal julle my nie sien nie, en oor ’n klein rukkie sal julle my weer sien’, en: ‘omdat ek na die Vader toe gaan?’” **18** Hulle het gesê: “Wat bedoel hy wanneer hy sê: ‘n klein rukkie’? Ons weet nie waarvan hy praat nie.” **19** Jesus het geweet dat hulle hom wou uitvra, en daarom het hy vir hulle gevra: “Vra julle dit

16:13 * “Hy” in vs. 13 en 14 verwys na “die helper” in vs. 7. Jesus het “die helper” (’n woord wat in Grieks in die manlike geslag is) gebruik as ’n persoonlikasie van die heilige gees, ’n onpersoonlike krag, wat in Grieks nie manlik of vroulik is nie.

vir mekaar omdat ek gesê het: 'Oor 'n klein rukkie sal julle my nie sien nie, en oor 'n klein rukkie sal julle my weer sien'?

20 Ek verseker julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal hartseer wees, maar julle hartseer sal in vreugde verander word.^a

21 Wanneer 'n vrou geboorte gee, ervaar sy pyn omdat haar uur gekom het, maar wanneer sy aan die kind geboorte gee het, onthou sy nie meer die pyn nie, omdat sy bly is dat 'n mens in die wêreld gebore is. **22** Nou is julle ook hartseer, maar ek sal julle weer sien en julle harte sal bly wees,^b en niemand sal julle vreugde wegneem nie. **23** Op daardie dag sal julle my nie 'n enkele vraag vra nie. Ek verseker julle: As julle die Vader enigets vra,^c sal hy dit vir julle in my naam gee.^d **24** Tot nou toe het julle niks in my naam gevra nie. Vra en julle sal ontvang, sodat julle sal oorloop van vreugde.

25 "Ek het hierdie dinge in vergelykings vir julle gesê. Die uur kom wanneer ek nie meer in vergelykings met julle sal praat nie, maar wanneer ek julle reguit van die Vader sal vertel. **26** In daardie dag sal julle die Vader in my naam vra, maar dit beteken nie dat ek namens julle sal vra nie. **27** Want die Vader self is lief vir julle, omdat julle my liefgehad het^e en geglo het dat ek as God se verteenwoordiger gekom het.^f **28** Ek het as die Vader se verteenwoordiger gekom en in die wêreld ingekom. Nou verlaat ek die wêreld en gaan ek na die Vader toe."^g

29 Sy dissipels het gesê: "Ky! Nou kan ons verstaan wat u sê omdat u geen vergelykings gebruik nie. **30** Nou weet ons dat u alles weet en dat nie-

HFST. 16

a Mt 28:8
Lu 24:39-41
Joh 20:19, 20

b Lu 24:51, 52

c Flp 4:6

d Joh 14:13
Joh 15:16
1Jo 5:14

e Joh 14:21

f Joh 17:7, 8

g Joh 13:3
Heb 9:24

Tweede kol.

a Sag 13:7
Mt 26:31
Mr 14:27

b Joh 8:29

c Joh 14:27
Ef 2:14

d Joh 14:30
Han 14:22
1Jo 4:4
1Jo 5:4
Op 3:21

HFST. 17

e Joh 12:23
Joh 13:31, 32

f Flp 2:9, 10

g Joh 4:14
Joh 6:27

h Joh 6:37

i Lu 10:25-28

j 1Jo 5:20

k Ef 4:11, 13
2Pe 3:18

l Joh 13:31

m Joh 4:34

n Joh 1:1
Joh 8:58
Kol 1:15

o Ps 22:22
Han 15:14
Heb 2:12

p Joh 6:68
Joh 8:28
Joh 12:49
Joh 14:10

q Joh 16:27

mand vir u enige vrae hoef te vra nie. Hierdeur glo ons dat u van God af gekom het." **31** Jesus het vir hulle gevra: "Glo julle nou? **32** Ky! Die uur kom – eintlik het dit alreeds gekom – wanneer julle verstrooi sal word en elkeen na sy eie huis sal gaan en my alleen sal laat. Maar ek is nie alleen nie,^a want die Vader is met my.^b **33** Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat julle deur middel van my vrede kan hê.^c In die wêreld sal julle moeilike tye deurmaak, maar moenie bang wees nie! Ek het die wêreld oorwin."^d

17 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het hy na die hemel opgekyk en gesê: "Vader, die uur het gekom. Verheerlik u seun, sodat u seun u kan verheerlik.^e **2** U het hom gesag oor alle mense* gegee,^f sodat hy ewige lewe kan gee^g aan almal wat u aan hom gegee het.^h **3** Om die ewige lewe te ontvang,ⁱ moet hulle u leer ken,* die enigste ware God,^j en ook die een wat u gestuur het, Jesus Christus.^k **4** Ek het u op die aarde verheerlik,^l omdat ek die werk voltooi het wat u my gegee het om te doen.^m **5** En nou, Vader, verheerlik my met die eer wat ek by u gehad het voordat die wêreld daar was.ⁿ

6 "Ek het u naam bekend gemaak aan die mense wat u aan my uit die wêreld gegee het.^o Hulle het aan u behoort, en u het hulle aan my gegee, en hulle het u woord gehoorsaam. **7** Hulle weet nou dat alles wat u aan my gegee het, van u af kom, **8** want ek het die woorde wat u aan my gegee het,^p aan hulle gegee. Hulle het dit aanvaar en weet nou beslis dat ek as u verteenwoordiger gekom het,^q en

17:2 *Lett. "vlees". 17:3 *Of "moet hulle kennis inneem van u".

hulle het geglo dat u my gestuur het.^a **9** Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat u aan my gegee het, omdat hulle aan u behoort. **10** Alles wat myne is, behoort aan u, en wat aan u behoort, is myne,^b en ek is deur hulle verheerlik.

11 "Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld,^c en ek kom na u toe. Heilige Vader, waak oor hulle^d ter wille van u naam, die naam wat u my gegee het, sodat hulle een* kan wees net soos ons een* is.^e **12** Toe ek by hulle was, het ek oor hulle gewaak^f ter wille van u naam, die naam wat u my gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle is vernietig nie,^g behalwe die seun van die vernietiging,^h sodat die Skrifgedeelte vervul sou word.ⁱ **13** Maar nou kom ek na u toe, en ek sê hierdie dinge in die wêreld sodat hulle die vreugde wat ek het, ten volle kan ervaar.^j **14** Ek het u woord aan hulle gegee, maar die wêreld het hulle gehaat, want hulle is geen deel van die wêreld nie,^k net soos ek geen deel van die wêreld is nie.

15 "Ek vra nie dat u hulle uit die wêreld neem nie, maar dat u hulle teen die Duiwel* beskerm.^l **16** Hulle is geen deel van die wêreld nie,^m net soos ek geen deel van die wêreld is nie.ⁿ **17** Maak hulle heilig* deur middel van die waarheid.^o U woord is die waarheid.^p **18** Net soos u my in die wêreld ingestuur het, het ek hulle ook in die wêreld ingestuur.^q **19** En ek heilig my ter wille van hulle, sodat hulle ook deur middel van die waarheid geheilig kan word.

20 "Ek bid nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat

HFST. 17

a Joh 16:30

b Joh 16:15

c Joh 13:1

d 1Pe 1:5

Jud 24

e Joh 10:30

Joh 17:21

f Joh 6:39

Joh 10:28

g Joh 18:9

h Mr 14:21

i Ps 41:9

Ps 109:8

Han 1:20

j Joh 15:11

k Joh 15:19

Jak 4:4

l Mt 6:13

2Te 3:3

1Jo 5:18

m Kol 1:13

n Joh 18:36

o Ef 5:25, 26

1Te 5:23

2Te 2:13

1Pe 1:22

p Ps 12:6

Ps 119:151,

160

q Joh 20:21

r Joh 17:23

s Joh 17:24

t Joh 17:25

u Joh 17:26

v Joh 17:27

w Joh 17:28

x Joh 17:29

y Joh 17:30

z Joh 17:31

aa Joh 17:32

ab Joh 17:33

ac Joh 17:34

ad Joh 17:35

ae Joh 17:36

af Joh 17:37

ag Joh 17:38

ah Joh 17:39

ai Joh 17:40

aj Joh 17:41

ak Joh 17:42

al Joh 17:43

deur hulle woorde geloof in my stel. **21** Vader, op hierdie manier kan hulle almal een wees^a en in eenheid met ons wees, net soos u in eenheid met my is en ek in eenheid met u.^b As gevolg hiervan kan die wêreld glo dat u my gestuur het. **22** Ek het hulle die eer gegee wat u aan my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons een is.^c **23** Ek is in eenheid met hulle en u is in eenheid met my, sodat hulle heeltemal verenig kan word. Hierdeur kan die wêreld weet dat u my gestuur het en dat u hulle liefgehad het net soos u my liefgehad het. **24** Vader, ek wil hê dat dié wat u aan my gegee het, saam met my moet wees,^d sodat hulle die heerlikheid kan sien wat u my gegee het, want u het my voor die begin van die mensdom* liefgehad.^e **25** Regverdige Vader, die wêreld het u nie leer ken nie,^f maar ek ken u,^g en diegene wat u aan my gegee het, weet dat u my gestuur het. **26** Ek het u naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak,^h sodat die liefde waarmee u my liefgehad het, in hulle kan wees en ek in eenheid met hulle."ⁱ

18 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het hy saam met sy dissipels oor die Kidron-vallei^{aj} gegaan na waar daar 'n tuin was, en hy en sy dissipels het daar ingegaan.^k **2** Judas, sy verraaier, het ook van die plek geweet, omdat Jesus dikwels met sy dissipels daar bymekaar gekom het. **3** Daarom het Judas die groep soldate en beamptes van die hoofpriesters en van die Fariseërs daarheen gebring en met fakkels en lam-

HFST. 18

j 2Sa 15:23

k Mt 26:36

Mr 14:32

Lu 22:39

17:11 *Of "in eenheid". 17:15 *Lett. "die Bose". 17:17 *Of "Sonder hulle af; Heilig hulle".

17:24 *Of "grondlegging van die wêreld". 18:1 *Of "Kidron-winterstroom".

pe en wapens daar aangekom.^a

4 Toe het Jesus, wat geweet het wat alles met hom gaan gebeur, vorentoe getree en vir hulle gevra: "Na wie soek julle?" **5** Hulle het hom geantwoord: "Jesus die Nasarener."^b Hy het vir hulle gesê: "Dit is ek." Judas, sy verraaier, het ook by hulle gestaan.^c

6 Maar toe Jesus vir hulle sê: "Dit is ek," het hulle agteruit beweeg en op die grond geval.^d **7** Toe het hy hulle weer gevra: "Na wie soek julle?" Hulle het gesê: "Jesus die Nasarener." **8** Jesus het geantwoord: "Ek het vir julle gesê dat dit ek is. As julle dan na my soek, laat hierdie manne gaan." **9** Dit het gebeur sodat sy woorde vervul sou word: "Van dié wat u aan my gegee het, het ek nie een verloor nie."^e

10 Toe het Simon Petrus, wat 'n swaard gehad het, dit uitgetrek en dit na die slaaf van die hoëpriester geswaai en sy regteroor afgekap.^f Die naam van die slaaf was Malgus. **11** Maar Jesus het vir Petrus gesê: "Sit die swaard terug.^g Moet ek nie die beker drink wat die Vader aan my gegee het nie?"^h

12 Toe het die soldate en die militêre bevelvoerder en die beamptes van die Jode Jesus gearrester en hom geboei. **13** Hulle het hom eers na Annas toe gelei, want hy was die skoonpa van Ka'jafas,ⁱ wat daardie jaar hoëpriester was.^j **14** Om die waarheid te sê, Ka'jafas was die een wat vir die Jode gesê het dat dit vir hulle eie beswil is dat een mens vir die volk sterf.^k

15 Simon Petrus sowel as 'n ander dissipel het Jesus gevolg.^l Die hoëpriester het daardie dissipel geken, en hy het saam met Jesus in die binnehof van die hoëpriester ingegaan, **16** maar Petrus het buite by die

HFST. 18

a Mt 26:47
Mr 14:43

b Mt 2:23

c Lu 22:47

d Joh 7:46

e Joh 6:39
Joh 17:12

f Mt 26:51
Mr 14:47
Lu 22:50

g Mt 26:52
Lu 22:51
Joh 18:36

h Mt 20:22
Mt 26:42

i Lu 3:2
Han 4:5, 6

j Mt 26:57
Joh 18:24

k Joh 11:49, 50

l Mt 26:58
Mr 14:54
Lu 22:54

Tweede kol.

a Mt 26:69, 70
Mr 14:66-68
Lu 22:55-57
Joh 18:25

b Mt 26:55
Lu 4:15
Lu 19:47
Joh 7:14

c Jes 50:6

d Mt 26:57

e Mt 26:69, 70
Mr 14:69, 70
Lu 22:58

f Joh 18:10

deur* gestaan. Daarom het die ander dissipel, wat die hoëpriester geken het, uitgegaan en met die deurwagter gepraat en Petrus ingebring. **17** Die diensmeisie wat die deurwagter was, het toe vir Petrus gevra: "Is jy nie ook een van hierdie man se dissipels nie?" Hy het gesê: "Ek is nie."^a **18** En die slawe en die beamptes het om 'n vuur gestaan wat hulle gemaak het, want dit was koud, en hulle het hulle warm gemaak. Petrus het by hulle gestaan en dieselfde gedoen.

19 Die hoofpriester het Jesus uitgevra oor sy dissipels en oor wat hy die mense geleer het. **20** Jesus het hom geantwoord: "Ek het in die openbaar met die wêreld gepraat. Ek het mense altyd in 'n sinagoge en in die tempel geleer,^b waar al die Jode bymekaarkom, en ek het niks in die geheim gesê nie. **21** Hoekom ondervra u my? Ondervra die mense wat gehoor het wat ek gesê het. Kyk! Hulle weet wat ek gesê het." **22** Nadat hy dit gesê het, het een van die beamptes wat daar gestaan het, Jesus in die gesig geklap^c en gesê: "Is dit hoe jy die hoofpriester antwoord?" **23** Jesus het vir hom gesê: "As ek iets verkeerd gesê het, sê dan* wat ek gesê het. Maar as wat ek gesê het, reg is, hoekom slaan jy my?" **24** Toe het Annas hom in boei na Ka'jafas die hoëpriester gestuur.^d

25 Simon Petrus het daar gestaan en hom warm gemaak. Toe het hulle vir hom gesê: "Is jy nie ook een van sy dissipels nie?" Hy het dit ontken en gesê: "Ek is nie."^e **26** Een van die slawe van die hoëpriester, wat 'n familielid was van die man wie se oor Petrus afgekap het,^f

18:16 *Of "ingang". 18:23 *Of "getuig dan oor".

het gesê: “Het ek jou nie in die tuin saam met hom gesien nie?”

27 Petrus het dit egter weer ontken, en onmiddellik het 'n haan gekraai.^a

28 Toe het hulle Jesus van Ka'jafas na die goewerneur se woning gelei.^b Dit was toe vroeg in die oggend. Maar hulle het self nie in die goewerneur se woning ingegaan nie, want dan sou hulle onrein word^c en nie die Pasga kon eet nie. **29** Pilatus het toe uitgekóm en vir hulle gevra: “Waarvan beskuldig julle hierdie man?” **30** Hulle het geantwoord: “As hierdie man nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u oorgelewer het nie.” **31** Toe het Pilatus vir hulle gesê: “Wat hom dan en oordeel hom volgens julle wet.”^d Die Jode het vir hom gesê: “Ons het nie die reg om enigiemand dood te maak nie.”^e **32** Dit het Jesus se woorde vervul wat hy gesê het om aan te dui op water soort manier hy binnekort sou sterf.^f

33 Toe het Pilatus weer in die goewerneur se woning ingegaan en Jesus geroep en vir hom gevra: “Is jy die Koning van die Jode?”^g **34** Jesus het geantwoord: “Vra u dit uit u eie, of het ander u van my vertel?” **35** Pilatus het geantwoord: “Ek is mos nie 'n Jood nie. Jou eie nasie en die hoofpriesters het jou aan my oorgelewer. Wat het jy gedoen?” **36** Jesus het geantwoord:^h “My Koninkryk is geen deel van hierdie wêreld nie.ⁱ As my Koninkryk deel van hierdie wêreld was, sou my volgelinge geveg het sodat ek nie aan die Jode oorgelewer word nie.^j Maar my Koninkryk is nie van hier nie.” **37** Pilatus het toe vir hom gevra: “Wel, is jy 'n koning?” Jesus het geantwoord: “U sê self dat ek 'n koning is.^k

HFST. 18

a Mt 26:74
Mr 14:72
Lu 22:60
Joh 13:38

b Mt 27:2
Mr 15:1
Lu 23:1

c Han 10:28

d Joh 19:6

e Joh 19:10

f Mt 20:18, 19
Joh 3:14
Joh 12:32

g Mt 27:11
Joh 12:13

h 1Ti 6:13

i Jes 9:6
Da 2:44
Da 7:14

j Mt 26:52, 53
Joh 18:11

k Mt 27:11

Tweede kol.

a Joh 1:14, 17
Joh 14:6

b Mt 27:24
Lu 23:4
Joh 15:25

c Mt 27:15
Mr 15:6

d Nu 35:31
Lu 23:18, 19
Han 3:14

HFST. 19

e Jes 50:6
Mt 20:18, 19
Mt 27:26
Mr 15:15

f Mt 27:27-29
Mr 15:16, 17
Lu 23:11

g Jes 53:3

h Lu 23:4
Joh 18:38

i Mt 27:22
Mr 15:13
Lu 23:21

j Joh 18:31

Hiervoor is ek gebore en hiervoor het ek in die wêreld ingekom, om van die waarheid te getuig.^a Elkeen wat aan die kant van die waarheid is, luister na my stem.” **38** Pilatus het vir hom gesê: “Wat is waarheid?”

Nadat hy dit gesê het, het hy weer uitgegaan en vir die Jode gesê: “Ek vind niks waaraan hy skuldig is nie.^b **39** Julle het ook 'n gewoonte dat ek op die Pasga vir julle 'n man moet vrylaat.^c Wil julle dan hê dat ek die Koning van die Jode vir julle moet vrylaat?” **40** Toe het hulle weer geskree: “Nie hierdie man nie, maar Barab'bas!” Barab'bas was 'n rower.^d

19 Toe het Pilatus Jesus laat wegneem en hom met 'n gésel* laat slaan.^e **2** En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy kop gesit en vir hom 'n pers bo-kleed aangetrok,^f **3** en hulle het na hom toe bly kom en gesê: “Goeiedag, Koning van die Jode!” Hulle het hom ook heelyd in die gesig geklap.^g **4** Pilatus het weer buitentoe gegaan en vir hulle gesê: “Kyk! Ek bring hom buitentoe vir julle sodat julle kan weet dat ek niks vind waaraan hy skuldig is nie.”^h **5** Toe het Jesus buitentoe gekom terwyl hy die kroon van dorings en die pers bo-kleed gedra het. En Pilatus het vir hulle gesê: “Kyk! Hier is die man!” **6** Maar toe die hoofpriesters en die beampptes hom sien, het hulle geskree: “Hang hom aan die paal! Hang hom aan die paal!”ⁱ Pilatus het vir hulle gesê: “Wat julle hom en hang hom aan die paal, want ek vind niks waaraan hy skuldig is nie.”^j **7** Die Jode het hom geantwoord: “Ons het 'n wet, en volgens hierdie wet moet hy

19:1 *Sien Woordelys.

sterf^a omdat hy homself God se seun gemaak het.”^b

8 Toe Pilatus hoor wat hulle sê, het hy nog banger geword, **9** en hy het weer in die goewerneur se woning ingegaan en vir Jesus gevra: “Waar kom jy vandaan?” Maar Jesus het hom nie geantwoord nie.^c **10** Pilatus het dus vir hom gevra: “Weier jy om met my te praat? Weet jy nie dat ek die gesag het om jou vry te laat en die gesag het om jou te laat doodmaak nie?” **11** Jesus het hom geantwoord: “U sou hoegenaamd geen gesag oor my hê as dit nie van bo aan u gegee was nie. Daarom het die man wat my aan u oorgelewer het, groter sonde.”

12 As gevolg hiervan het Pilatus na 'n manier bly soek om hom vry te laat, maar die Jode het geskree: “As u hierdie man vrylaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself 'n koning maak, praat teen die keiser.”^d **13** Nadat Pilatus hierdie woorde gehoor het, het hy Jesus buitentoe bring, en hy het op 'n regterstoel gaan sit op 'n plek wat die Klipplaveisel genoem word, maar in Hebreeus *Gab'bata*. **14** Dit was die Voorbereidingsdag^e vir die Pasga, en dit was omtrent die sesde uur.* En hy het vir die Jode gesê: “Kyk! Julle koning!” **15** Hulle het egter geskree: “Vat hom weg! Vat hom weg! Hang hom aan die paal!” Pilatus het vir hulle gevra: “Moet ek julle koning laat doodmaak?” Die hoofpriesters het geantwoord: “Ons het geen ander koning as die keiser nie.” **16** Pilatus het hom toe aan hulle oorgelewer om aan 'n paal gehang te word.^f

Toe het hulle Jesus weggeneem. **17** Terwyl Jesus self

HFST. 19

a Le 24:16

b Mt 26:63-65
Joh 5:18

c Jes 53:7
Mt 27:12, 14

d Lu 23:2
Han 17:6, 7

e Joh 19:31

f Da 9:26
Mt 27:26, 31
Mr 15:15
Lu 23:24, 25

Tweede kol.

a Heb 13:12

b Mt 27:32, 33
Mr 15:22

c Joh 3:14
Han 5:30
Ga 3:13

d Jes 53:9
Lu 23:33

e Mt 27:37
Mr 15:26
Lu 23:38

f Mt 27:35
Mr 15:24
Lu 23:34

g Ps 22:18

h Lu 2:34, 35

i Mt 27:55, 56
Mt 27:61
Mr 15:40
Lu 23:49

j Joh 13:23
Joh 21:7, 20

die folterpaal* gedra het, het hy uitgegaan na die sogenaamde Skedelplek,^a wat in Hebreeus *Gol'gota* genoem word.^b **18** Daar het hulle Jesus aan die paal gehang,^c tussen twee ander mans.^d **19** Pilatus het ook 'n opskrif geskryf en dit aan die folterpaal* gesit. Dit het gesê: “Jesus die Nasarener, die Koning van die Jode.”^e **20** Baie van die Jode het dus hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus aan die paal gehang is, naby die stad was, en dit was in Hebreeus, in Latyn en in Grieks geskryf. **21** Die hoofpriesters van die Jode het egter vir Pilatus gesê: “Moenie ‘Die Koning van die Jode’ skryf nie. Skryf eerder wat hy gesê het: ‘Ek is Koning van die Jode.’” **22** Pilatus het geantwoord: “Wat ek geskryf het, het ek geskryf.”

23 En toe die soldate Jesus aan die paal gehang het, het hulle sy bo-klere gevat en in vier dele verdeel, een vir elke soldaat. Hulle het ook die onderkleed gevat, maar dit het nie 'n naat gehad nie, omdat dit van bo tot onder aaneengesewef was. **24** Daarom het hulle vir mekaar gesê: “Moet dit nie skeur nie. Kom ons werp die lot om te besluit wie dit sal kry.”^f Dit was sodat die volgende Skrifgedeelte vervul sou word: “Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en hulle het die lot gewerp oor my klere.”^g En die soldate het hierdie dinge werklik gedoen.

25 Maar Jesus se ma^h en sy ma se suster, asook Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdaleⁱ na het by sy folterpaal* gestaan.ⁱ **26** Toe Jesus sien dat sy ma en die dissipel wat hy liefgehad het,^j daar naby staan,

het hy vir sy ma gesê: "Kyk, u seun!" **27** Hy het toe vir die dissipel gesê: "Kyk, jou ma!" En van daardie uur af het die dissipel haar na sy eie huis geneem en vir haar gesorg.

28 Jesus het geweet dat hy alles gedoen het wat hy moes doen, en om die Skrifgedeelte te vervul, het hy gesê: "Ek is dors."^a **29** Daar het 'n houer vol suur wyn gestaan. Toe het hulle 'n spons vol suur wyn op 'n hisopstingel* gesit en dit by sy mond gehou.^b **30** Toe Jesus die suur wyn ontvang het, het hy gesê: "Dit is afgehandel!"^c En hy het sy kop gebuig en gesterf.^{*d}

31 Omdat dit die Voorbereidingsdag^e was, het die Jode Pilatus gevra om die bene van die manne te laat breek en die liggame te laat wegneem, sodat die liggame nie op die Sabbat aan die folterpale sou bly hang nie.^f (Hulle het dit gevra omdat dit 'n groot Sabbat was.)^g **32** Toe het die soldate gekom en die bene van die twee manne gebreek wat langs hom aan pale gehang het. **33** Maar toe hulle by Jesus kom, het hulle gesien dat hy alreeds dood is, en daarom het hulle nie sy bene gebreek nie. **34** Maar een van die soldate het 'n spies in Jesus se sy gesteek,^h en onmiddellik het bloed en water uitgekóm. **35** En die een wat dit gesien het, het daarvan getuig, en sy getuienis is waar, en hy weet dat wat hy sê, waar is, sodat julle ook kan glo.ⁱ **36** Om die waarheid te sê, hierdie dinge het gebeur sodat die volgende Skrifgedeelte vervul sou word: "Nie een van sy bene sal gebreek word nie."^j **37** En 'n ander Skrifge-

19:29 *Sien Woordelys. **19:30** *Of "sy laaste asem uitgeblaas; die gees gee".

HFST. 19

a Ps 22:15

b Ps 69:21
Mt 27:48
Mr 15:36
Lu 23:36

c Joh 17:4

d Jes 53:12
Mt 27:50
Mr 15:37
Lu 23:46

e Joh 19:14

f De 21:22, 23

g Le 23:5-7

h Jes 53:5
Sag 12:10
Joh 20:25

i Joh 20:31
Joh 21:24

j Eks 12:46
Nu 9:12
Ps 34:20

Tweede kol.

a Sag 12:10
Op 1:7

b Joh 7:13
Joh 9:22

c De 21:22, 23
Mt 27:57-60
Mr 15:43-46

d Joh 3:1, 2
Joh 7:50-52

e Lu 23:55, 56

f Joh 20:7

g Jes 53:9

h Joh 19:14

HFST. 20

i Mt 28:1
Mr 16:1, 2

j Lu 24:1-3

k Joh 13:23
Joh 19:26
Joh 21:24

l Joh 19:41, 42

deelte sê weer: "Hulle sal kyk na die een wat hulle met 'n spies deurboor het."^a

38 En ná hierdie dinge het Josef van Arimate'a na Pilatus toe gekom. Josef was 'n dissipel van Jesus, maar net in die geheim, want hy was bang vir die Jode.^b Hy het vir Pilatus gevra of hy Jesus se liggaam kan wegneem, en Pilatus het hom toestemming gegee om dit te doen. Daarom het hy gekom en die liggaam weggeneem.^c **39** Nikodemus,^d wat die eerste keer in die nag na hom toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel* van mirre en aalwyn gebring, wat omtrent 100 pond^e geweeg het.^e **40** Toe het hulle Jesus se liggaam geneem en dit in linnedoeke saam met die speserye toegedraai,^f volgens die begravinggebruik van die Jode. **41** En daar was 'n tuin by die plek waar hy aan die paal gehang is, en in die tuin was daar 'n nuwe graf^g waarin niemand nog ooit neergelê is nie. **42** Omdat dit die Voorbereidingsdag^h van die Jode was en die graf daar naby was, het hulle Jesus daar neergelê.

20 Op die eerste dag van die week het Maria Magdale'na vroeg na die graf toe gekom,ⁱ terwyl dit nog donker was, en sy het gesien dat die klip reeds voor die graf weggerol is.^j **2** Toe het sy gehardloop en vir Simon Petrus en die ander dissipel, vir wie Jesus lief was,^k gaan sê: "Hulle het die Here uit die graf weggeneem,^l en ons weet nie waar hulle hom neergelê het nie."

3 Toe het Petrus en die ander dissipel na die graf toe gegaan. **4** Die twee van hulle het

19:39 *Of moontlik "n rol". ^dD.w.s. Romeinse ponde. Sien Aanh. B14.

saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom. **5** Hy het vooroor gebuk en die linnedoeke daar sien lê,^a maar hy het nie ingegaan nie. **6** Toe het Simon Petrus ook agterna gekom en in die graf ingegaan, en hy het die linnedoeke daar sien lê. **7** Die doek wat op Jesus se kop was, het nie by die ander doeke gelê nie, maar was opge-rol en het eenkant gelê. **8** Toe het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het gesien en geglo. **9** Want hulle het nog nie die Skrifgedeelte verstaan wat sê dat hy uit die dood moet opstaan nie.^b **10** Toe het die dissipels teruggegaan huis toe.

11 Maria het egter buite die graf gestaan en huil. Terwyl sy gehuil het, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk, **12** en sy het twee engele^c in wit sien sit waar Jesus se liggaam gelê het, een by die kop en een by die voete. **13** Hulle het vir haar gevra: "Vrou, hoekom huil jy?" Sy het vir hulle gesê: "Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle hom neergelê het nie." **14** Nadat sy omgedraai het, het sy Jesus daar sien staan, maar sy het nie besef dat dit Jesus is nie.^d **15** Jesus het vir haar gevra: "Vrou, hoekom huil jy? Na wie soek jy?" Sy het gedink dat dit die tuinier is en het vir hom gesê: "Meneer, as u hom weggedra het, sê vir my waar u hom neergelê het, en ek sal hom wegneem." **16** Jesus het vir haar gesê: "Maria!" Toe sy omdraai, het sy in Hebreeus vir hom gesê: "*Rabboe'ni!*" (wat "leermeester" beteken). **17** Jesus het vir haar gesê: "Hou op om aan my vas te klou, want ek het nog nie na die Vader opgevaar nie. Maar

HFST. 20

a Joh 19:40

b Ps 16:10
Mt 16:21
Han 2:27

c Mr 16:5

d Lu 24:15, 16
Lu 24:30, 31
Joh 21:4

Tweede kol.

a Mt 28:10

b Joh 14:28
Joh 16:28c 1Kor 11:3
Ef 1:17
Kol 1:3

d Lu 24:9, 10

e Lu 24:36

f Joh 19:34

g Joh 16:22

h Lu 24:36

i Jes 61:1
Joh 5:36j Mt 28:19, 20
Joh 17:18

k Han 2:2, 4

l Joh 11:16

m Joh 19:34

n Joh 20:19

gaan na my broers toe^a en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader^b en julle Vader en na my God^c en julle God.'" **18** Maria Magdale^a na het gekom en die nuus vir die dissipels gebring: "Ek het die Here gesien!" En sy het vir hulle vertel wat hy vir haar gesê het.^d

19 Dit was laat op daardie dag, die eerste dag van die week, en die deure waar die dissipels was, was gesluit omdat hulle bang was vir die Jode. Toe het Jesus gekom en tussen hulle gestaan en vir hulle gesê: "Mag julle vrede hê."^e **20** Nadat hy dit gesê het, het hy vir hulle sy hande sowel as sy sy gewys.^f Toe was die dissipels bly dat hulle die Here gesien het.^g **21** Jesus het weer vir hulle gesê: "Mag julle vrede hê.^h Net soos die Vader my gestuur het,ⁱ stuur ek julle ook."^j **22** Nadat hy dit gesê het, het hy op hulle geblaas en vir hulle gesê: "Ontvang heilige gees.^k **23** As julle enigiemand se sondes vergewe, is dit vergewe. As julle nie hulle sondes vergewe nie, is dit nie vergewe nie."

24 Maar Tomas,^l een van die Twaalf, wat die Tweeling genoem is, was nie by hulle toe Jesus gekom het nie. **25** Toe het die ander dissipels vir hom gesê: "Ons het die Here gesien!" Maar hy het vir hulle gesê: "Tensy ek die merk van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merk van die spykers steek en my hand in sy sy steek,^m sal ek dit nooit glo nie."

26 Wel, agt dae later was sy dissipels weer in die huis, en Tomas was by hulle. Al was die deure gesluit, het Jesus gekom en tussen hulle gestaan en gesê: "Mag julle vrede hê."ⁿ **27** Toe het hy vir Tomas gesê: "Sit jou vinger hier, en kyk na my hande,

en neem jou hand en steek dit in my sy, en hou op twyfel,* maar glo.” **28** Tomas het geantwoord en vir hom gesê: “My Here en my God!” **29** Jesus het vir hom gesê: “Glo jy omdat jy my gesien het? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

30 Jesus het natuurlik ook baie ander wonderwerke* voor die dissipels gedoen, wat nie in hierdie boekrol neergeskryf is nie.^a **31** Maar hierdie dinge is neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle die lewe kan hê omdat julle deur middel van sy naam glo.^b

21 Daarna het Jesus weer aan die dissipels verskyn,* by die See van Tibe'rias. Dit is hoe dit gebeur het: **2** Simon Petrus, Tomas (wat die Tweeling genoem is),^c Nata'nael^d uit Kana in Galile'a, die seuns van Sebede'us^e en twee van sy ander dissipels was daar. **3** Simon Petrus het vir hulle gesê: “Ek gaan visvang.” Hulle het vir hom gesê: “Ons kom saam met jou.” Hulle het uitgegaan en in die boot geklim, maar gedurende daardie nag het hulle niks gevang nie.^f

4 Toe dit oggend begin word, het Jesus op die strand gestaan, maar die dissipels het nie besef dat dit Jesus is nie.^g **5** Toe het Jesus vir hulle gevra: “Vriende,* het julle nie iets^h om te eet nie?” Hulle het geantwoord: “Nee!” **6** Hy het vir hulle gesê: “Gooi die net aan die regterkant van die boot uit, en julle sal iets vind.” Toe het hulle dit uitgegooi, maar daar was so baie vis in die net dat hulle dit nie kon

20:27 *Lett. “om ongelowig te wees”.
20:30 *Lett. “tekens”. 21:1 *Of “hom weer aan die dissipels geopenbaar”.
21:5 *Of “Kinders”. *Of “enige vis”.

HFST. 20

a Joh 21:25

b Joh 3:15
Joh 5:24
1Pe 1:8, 9
1Jo 5:13

HFST. 21

c Joh 11:16
Joh 20:24

d Joh 1:45

e Mt 4:21

f Lu 5:4, 5

g Lu 24:15, 16
Joh 20:11, 14

Tweede kol.

a Lu 5:4, 6

b Joh 13:23
Joh 19:26
Joh 20:2

c Joh 20:19, 26

d Lu 22:32
Han 20:28
1Pe 5:2, 3

intrek nie.^a **7** Toe het die dissipel vir wie Jesus lief was,^b vir Petrus gesê: “Dit is die Here!” Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy bo-kleed aangetrek, want hy was kaal,* en hy het in die see gesprong. **8** Maar die ander dissipels het in die bootjie gekom en die net vol vis gesleep, want hulle was nie ver van die land af nie, net sowat 90 meter* daarvandaan.

9 Toe hulle aan land kom, het hulle 'n vuur gesien met vis en brood wat daarop lê. **10** Jesus het vir hulle gesê: “Bring van die vis wat julle nou net gevang het.” **11** Toe het Simon Petrus aan boord gegaan en die net vol groot visse na die land toe getrek, 153 visse. En al was daar so baie vis, het die net nie geskeur nie. **12** Jesus het vir hulle gesê: “Kom, eet julle ontbyt.” Nie een van die dissipels het die moed gehad om vir hom te vra: “Wie is u?” nie, want hulle het geweet dat dit die Here is. **13** Jesus het gekom en die brood geneem en dit vir hulle gegee, en hy het dieselfde gedoen met die vis. **14** Dit was die derde keer^c dat Jesus aan die dissipels verskyn het nadat hy uit die dood opgewek is.

15 Toe hulle klaar ontbyt geet het, het Jesus vir Simon Petrus gevra: “Simon, seun van Johannes, is jy liewer vir my as vir hulle?” Hy het vir hom gesê: “Ja, Here, u weet dat ek lief is vir u.” Hy het vir hom gesê: “Voed my lammers.”^d **16** Hy het 'n tweede keer vir hom gevra: “Simon, seun van Johannes, het jy my lief?” Hy het vir hom gesê: “Ja, Here, u weet dat ek lief is vir u.” Hy het vir hom gesê: “Hou as

21:7 *Of “het min klere aangehad”.
21:8 *Lett. “ongeveer 200 el”. Sien Aanh. B14.

herder toesig oor my skapies.”^a
17 Hy het 'n derde keer vir hom gevra: “Simon, seun van Johannes, is jy lief vir my?” Petrus het hartseer geword omdat hy hom 'n derde keer gevra het: “Is jy lief vir my?” Daarom het hy vir hom gesê: “Here, u weet alles. U weet dat ek lief is vir u.” Jesus het vir hom gesê: “Voed my skapies.”^b **18** Ek sê vir jou: Toe jy jonger was, het jy jousef aangetrek en rondgeloopt waar jy ook al wou. Maar wanneer jy oud word, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou aantrek en jou dra waarheen jy nie wil gaan nie.” **19** Hy het dit gesê om aan te dui deur watter soort dood hy God sou verheerlik. Nadat hy dit gesê het, het hy vir hom gesê: “Hou aan om my te volg.”^c

20 Petrus het omgedraai en gesien dat die dissipel vir wie Jesus lief was,^d hulle volg. Dit was die dissipel wat by die aandmaal teen Jesus se bors teruggelê het en gevra het:

HFST. 21

a Han 1:15
 Heb 13:20
 1Pe 2:25

b Joh 10:14, 15

c Mt 19:28
 Joh 12:26
 Op 14:4

d Joh 13:23
 Joh 20:2

Tweede kol.

a Joh 13:23
 Joh 19:26
 Joh 20:2
 Joh 21:7

b Joh 20:30, 31

“Here, wie is die een wat u gaan verraaï?” **21** Toe Petrus hom sien, het hy vir Jesus gevra: “Here, wat van hierdie man?” **22** Jesus het vir hom gesê: “As dit my wil vir hom is om te bly totdat ek kom, hoekom bekommer jy jou daarvoor? Hou jy aan om my te volg.” **23** Toe het die storie onder die broers versprei dat hierdie dissipel nie sou sterf nie. Jesus het egter nie vir hom gesê dat hy nie sou sterf nie. Hy het eerder gesê: “As dit my wil vir hom is om te bly totdat ek kom, hoekom bekommer jy jou daarvoor?”

24 Dit is die dissipel^a wat hierdie getuienis oor hierdie dinge gee en wat hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is.

25 Daar is in werklikheid ook baie ander dinge wat Jesus gedoen het. As dit ooit in volle besonderhede opgeteken sou word, dink ek dat die wêreld self nie die boekrolle wat geskryf is, sou kon bevat nie.^b

DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

OORSIG

- 1 Aan Teofilus (1-5)
 Getuies tot aan die eindes van die aarde (6-8)
 Jesus vaar op na die hemel (9-11)
 Dissipels kom in eenheid bymekaar (12-14)
 Mattias gekies om Judas te vervang (15-26)
- 2 Heilige gees uitgestort by Pinkster (1-13)
 Petrus se toespraak (14-36)

- Skares reageer op Petrus se toespraak (37-41)
 3 000 gedoop (41)
 Christelike broederskap (42-47)
- 3 Petrus genees 'n verlamde bedelaar (1-10)
 Petrus praat by Pilaargang van Salomo (11-26)
 “Wanneer alle dinge herstel word” (21)
 'n Profeet soos Moses (22)

- 4 Petrus en Johannes word gearrester (1-4)
 Aantal gelowiges groei tot 5 000 manne (4)
 Verhoor voor die Sanhedrin (5-22)
 'Ons kan nie ophou praat nie' (20)
 Gebed om moedig te wees (23-31)
 Dissipels deel besittings (32-37)
- 5 Ananias en Saffira (1-11)
 Apostels doen baie wonderwerke (12-16)
 Gevangene geneem en vrygelaat (17-21a)
 Weer voor die Sanhedrin (21b-32)
 'Eerder aan God gehoorsaam as aan mense' (29)
 Gamaliël se raad (33-40)
 Predikingswerk van huis tot huis (41, 42)
- 6 Sewe manne gekies om te dien (1-7)
 Stefanus aangekla van laster (8-15)
- 7 Stefanus praat voor die Sanhedrin (1-53)
 Tydperk van die aartsvaders (2-16)
 Moses se leierskap; Israel se afgodediens (17-43)
 God woon nie in mensgemaakte tempels nie (44-50)
 Stefanus met klippe doodgegooi (54-60)
- 8 Saulus die vervolger (1-3)
 Filippus is produktief in Samaria (4-13)
 Petrus en Johannes na Samaria gestuur (14-17)
 Simon probeer heilige gees koop (18-25)
 Die Etiopiese eunug (26-40)
- 9 Saulus op die pad na Damaskus (1-9)
 Ananias gestuur om Saulus te help (10-19a)
 Saulus preek oor Jesus in Damaskus (19b-25)
 Saulus besoek Jerusalem (26-31)
 Petrus genees Eneas (32-35)
 Vrygewige Dorkas opgewek (36-43)
- 10 Kornelius se visioen (1-8)
 Petrus se visioen van gereinigde diere (9-16)
 Petrus besoek Kornelius (17-33)
- Petrus verkondig goeie nuus aan mense van die nasies (34-43)
 'God is nie partydig nie' (34, 35)
 Mense van die nasies ontvang heilige gees en word gedoop (44-48)
- 11 Petrus vertel die apostels wat gebeur het (1-18)
 Barnabas en Saulus in Antiogië van Sirië (19-26)
 Dissipels vir die eerste keer Christene genoem (26)
 Agabus voorspel hongersnood (27-30)
- 12 Jakobus doodgemaak; Petrus in die tronk (1-5)
 Petrus wonderdadig vrygelaat (6-19)
 Herodes deur 'n engel getref (20-25)
- 13 Barnabas en Saulus as sendelinge gestuur (1-3)
 Bediening op Siprus (4-12)
 Paulus se toespraak in Antiogië van Pisidië (13-41)
 Profetiese opdrag om vir die nasies te preek (42-52)
- 14 Toename en teenstand in Ikonium (1-7)
 Mense in Lистра dink Paulus en Barnabas is gode (8-18)
 Paulus met klippe gegooi, lewe nog (19, 20)
 Gemeentes word versterk (21-23)
 Terug na Antiogië van Sirië (24-28)
- 15 Onenigheid in Antiogië oor besnydenis (1, 2)
 Kwessie na Jerusalem geneem (3-5)
 Apostels en ouermanne kom bymekaar (6-21)
 Brief van die bestuursliggaam (22-29)
 Bly weg van bloed (28, 29)
 Gemeentes aangemoedig deur brief (30-35)
 Paulus en Barnabas gaan uitmekaar (36-41)
- 16 Paulus kies Timoteus (1-5)
 Visioen van die Masedoniese man (6-10)
 Lidia se bekering in Filippi (11-15)
 Paulus en Silas in tronk gegooi (16-24)
 Tronkbewaarder en sy huismense gedoop (25-34)

- Paulus vra vir 'n amptelike verskoning (35-40)
- 17 Paulus en Silas in Tessalonika (1-9)
Paulus en Silas in Berea (10-15)
Paulus in Atene (16-22a)
Paulus se toespraak by die Areopagus (22b-34)
- 18 Paulus se bediening in Korinte (1-17)
Terug na Antiogië van Sirië (18-22)
Paulus vertrek na Galasië en Frigië (23)
Apollos word gehelp (24-28)
- 19 Paulus in Efese; party weer gedoop (1-7)
Paulus se onderrigingswerk (8-10)
Sukses ten spyte van demone (11-20)
Opskudding in Efese (21-41)
- 20 Paulus in Masedonië en Griekeland (1-6)
Eutigus opgewek in Troas (7-12)
Van Troas na Milete (13-16)
Paulus vergader met ouermanne in Efese (17-38)
Onderrigting van huis tot huis (20)
"Dit maak 'n mens gelukkiger om te gee" (35)
- 21 Op pad na Jerusalem (1-14)
Aankoms in Jerusalem (15-19)
Paulus volg die ouermanne se raad (20-26)
Opskudding in tempel; Paulus gearresteer (27-36)
Paulus mag met die skare praat (37-40)
- 22 Paulus se verdediging voor die skare (1-21)
Paulus gebruik sy Romeinse burgerskap (22-29)
Sanhedrin kom bymekaar (30)
- 23 Paulus praat voor die Sanhedrin (1-10)
Paulus versterk deur die Here (11)
Plan om Paulus dood te maak (12-22)
Paulus oorgeplaas na Sesarea (23-35)
- 24 Beskuldigings teen Paulus (1-9)
Paulus se verdediging voor Feliks (10-21)
Paulus se saak twee jaar lank uitgestel (22-27)
- 25 Paulus se verhoor voor Festus (1-12)
'Die keiser moet my saak verhoor!' (11)
Festus praat met Agrippa oor Paulus (13-22)
Paulus voor Agrippa (23-27)
- 26 Paulus se verdediging voor Agrippa (1-11)
Paulus beskryf sy bekering (12-23)
Festus en Agrippa se reaksies (24-32)
- 27 Paulus seil na Rome (1-12)
Storm tref die skip (13-38)
Skipbreuk (39-44)
- 28 Op Malta (1-6)
Publius se pa word genees (7-10)
Weer op pad na Rome (11-16)
Paulus praat met Jode in Rome (17-29)
Paulus preek twee jaar lank moedig (30, 31)

1 O Teo'filus, ek het die eerste verslag geskryf oor alles wat Jesus gedoen het en aan ander geleer het.^a **2** tot op die dag dat hy in die hemel opgeneem is,^b nadat hy deur heilige gees instruksies gegee het aan die apostels wat hy gekies het.^c **3** Nadat hy gely het, het hy baie kere aan hulle verskyn op maniere wat bewys het dat hy

HFST. 1

- a Lu 1:3
Lu 3:23
b ITi 3:16
c Joh 15:16

Tweede kol.

- a Mt 28:9
Joh 20:19
1Kor 15:4-7
b Lu 24:27
c Lu 24:49
d Joh 14:16, 17
Han 2:33

regtig lewe.^a Hulle het hom oor 'n tydperk van 40 dae gesien, en hy het oor die Koninkryk van God gepraat.^b **4** Terwyl hy saam met hulle vergader het, het hy hulle beveel: "Moenie Jerusalem verlaat nie,^c maar hou aan om te wag vir die dinge wat die Vader belowe het,^d waarvan julle by my gehoor het, **5** want Johannes het met water

gedoop, maar oor net 'n paar dae sal julle met heilige gees gedoop word.”^a

6 Toe hulle bymekaargekom het, het hulle vir hom gevra: “Here, herstel u in hierdie tyd die koninkryk vir Israel?”^b

7 Hy het vir hulle gesê: “Die Vader het tye en tydperke volgens sy wil vasgestel,* en dit is nie vir julle om daarvan te weet nie.”^c

8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die heilige gees op julle kom,^d en julle sal getuies^e van my wees in Jerusalem,^f in die hele Jude'a en Samari'a^g en tot in die mees afgeleë deel* van die aarde.”^h

9 Nadat hy hierdie dinge gesê het, is hy voor hulle oë van die aarde af opgelig, en 'n wolk het hom bedek, en hulle kon hom nie meer sien nie.ⁱ

10 En terwyl hulle gekyk het hoe hy in die lug opvaar, het daar skielik twee mans in wit kleres^j langs hulle gestaan

11 en vir hulle gesê: “Manne van Galile'a, hoekom staan en kyk julle in die lug in? Hierdie Jesus wat van julle af in die lug opgeneem is, sal op dieselfde manier kom as wat julle hom na die hemel sien gaan het.”

12 Toe het hulle van die Olyfberg af na Jerusalem teruggegaan.^k Hierdie berg is naby Jerusalem, omtrent 'n kilometer* daarvandaan.

13 Toe hulle daar aankom, het hulle opgegaan na die bo-kamer waar hulle gebly het. Petrus was daar, sowel as Johannes en Jakobus en Andre'as, Filippus en Tomas, Bartolome'us en Matte'us, Jakobus, die seun van Alfe'us, Simon die ywerige en Judas, die seun van Jakobus.^l

1:7 *Of “onder sy gesag geplaas”. 1:8 *Of “tot aan die eindes”. 1:12 *Lett. “n sabbatsreis”, d.w.s. die afstand wat 'n Jood toegelaat is om op die Sabbat te reis.

- HFST. 1
- a Jl 2:28
Mt 3:11
Mr 1:8
- b Lu 19:11
Lu 24:21
- c Da 2:20, 21
Mt 24:36
- d Han 4:33
- e Jes 43:10
Lu 24:48
Joh 15:26, 27
- f Han 5:27, 28
- g Han 8:14
- h Kol 1:23
- i Lu 24:51
Joh 6:62
- j Mt 28:2, 3
- k Lu 24:52
- l Mt 10:2-4
Mr 3:16-19

Tweede kol.

- a Lu 23:49
- b Mt 13:55
Joh 7:5
Ga 1:19
- c Ps 41:9
Ps 55:12
Joh 13:18
- d Lu 22:47
Joh 18:3
- e Mt 10:2, 4
Lu 6:12-16
Joh 6:70, 71
- f Sag 11:12
Mt 26:14, 15
- g Mt 27:5-8
- h Ps 69:25
- i Ps 109:8
- j Mt 3:13
- k Lu 24:51
Han 1:9
- l Mt 28:5, 6
Mr 16:6

14 Hulle almal het met een doel aanhou bid. Hulle het saam met 'n aantal vrouens,^a Jesus se ma, Maria, en sy broers^b gebid.

15 Gedurende daardie dae, toe daar omtrent 120 mense bymekaar was, het Petrus opgestaan en gesê: **16** “Manne, broers, die heilige gees het deur Dawid 'n profesie uitgespreek oor Judas,^c wat diegene wat Jesus gearrester het, na hom toe gelei het.^d Daardie Skrifgedeelte moes vervul word. **17** Want hy was een van ons^e en is gekies om aan hierdie bediening deel te neem. **18** (Hierdie selfde man het 'n stuk grond gekoop met die geld wat hy vir sy onregverdigheid gekry het.^f Hy het kop eerste geval, sy liggaam het oopgebars* en al sy binnegoed het uitgekom.^g **19** Al die inwoners van Jerusalem het hiervan gehoor, en daarom is die stuk grond in hulle taal *Akeldama* genoem, wat “bloedgrond” beteken.) **20** Want daar is in die boek van die Psalms geskryf: ‘Laat sy woonplek verlate word, en laat daar geen inwoner daarin wees nie’,^h en: ‘Laat iemand anders sy opsiensamp neem.’ⁱ

21 Dit is dus nodig dat ons een van die manne kies wat saam met ons was gedurende die hele tyd dat die Here Jesus by ons was,^j **22** vandat hy deur Johannes^j gedoop is tot op die dag dat hy van ons af na die hemel opgeneem is.^k Hy moet ook saam met ons 'n getuie van Jesus se opstanding wees.”^l

23 Toe het hulle twee voorgestel: Josef, wat Bar'sabbas en ook Justus genoem is, en Matti'as. **24** Toe het hulle gebid en gesê: “U, o Jehovah,* wat die

1:18 *Of “hy het binne-in oopgebars”. 1:21 *Lett. “in- en uitgegaan het”. 1:24 *Sien Aanh. A5.

harte van almal ken,^a wys water een van hierdie twee manne u gekies het **25** om die plek van hierdie bediening en apostelskap in te neem, wat Judas verlaat het om na sy eie plek te gaan.”^b **26** Toe het hulle die lot oor hulle gewerp,^c en die lot het op Matti’as geval, en hy is by die 11 apostels gevoeg.*

2 En op die dag van die Pinksterfees^d was hulle almal op dieselfde plek bymekaar. **2** Skielik het daar ’n geluid uit die hemel gekom wat soos ’n sterk wind geklink het, en dit kon in die hele huis gehoor word.^e **3** Toe sien hulle iets wat soos klein vuurvlamme gelyk het.* Dit het verdeel, en een het op elkeen van hulle neergedaal, **4** en hulle is almal met heilige gees gevul^f en het in verskillende tale begin praat, net soos die gees hulle in staat gestel het om te doen.^g

5 Gedurende daardie tyd het godvresende Jode uit elke nasie onder die hemel in Jerusalem gebly.^h **6** En toe hierdie geluid gehoor word, het ’n skare bymekaargekom. Hulle was verskrik, want elkeen het sy eie taal gehoor terwyl die dissipels gepraat het. **7** Ja, hulle was verstom en het gesê: “Kyk, almal wat daar praat, is Galileërs,ⁱ nie waar nie? **8** Hoe is dit dan dat ons almal ons moedertaal hoor? **9** Parters, Mede^j en Elamiete,^k die inwoners van Mesopota’mië, Jude’a, Kappado’sië, Pontus, die provinsie Asië,^l **10** Fri’gië, Pamfi’lië, Egipte en die gebiede van Libië naby Sire’ne, besoekers uit Rome, Jode sowel as proseliete,^m **11** Kreteners en Arabiere – ons hoor hoe

1:26 *Of “saam met . . . gereken”, d.w.s. soos die ander 11 beskou. 2:3 *Lett. “tonge soos van vuur”.

HFST. 1

a 1Sa 16:7
1Kr 28:9
Jer 11:20

b Joh 6:70

c Spr 16:33

HFST. 2

d Le 23:16
De 16:9-11

e Han 4:31

f Mr 1:8
Joh 14:26g Han 10:45, 46
1Kor 12:8, 10

h Eks 23:17

i Mr 14:70
Han 1:11

j 2Kn 17:6

k Da 8:1, 2

l 1Pe 1:1

m Eks 12:48

Tweede kol.

a Han 1:13

b Jl 2:28

c 1Kor 12:8, 10

d Jl 2:28-32
Ro 10:13e Joh 5:36
Joh 14:10

hulle in ons tale oor die wonderlike dinge van God praat.” **12** Ja, hulle was almal verbaas en dronkgeslaan, en hulle het vir mekaar gevra: “Wat beteken dit?” **13** Maar ander het hulle gespot en gesê: “Hulle is vol soet wyn.”*

14 Maar Petrus het saam met die Elf^a opgestaan en met ’n harde stem vir hulle gesê: “Manne van Jude’a en julle almal wat in Jerusalem woon, skenk aandag en luister mooi na my woorde. **15** Hierdie mense is eintlik nie dronk, soos julle dink nie, want dit is nou eers die derde uur van die dag.* **16** Nee, wat hier gebeur, is wat deur middel van die profeet Joël gesê is: **17** “En in die laaste dae,” sê God, “sal ek van my gees op alle soorte mense* uitstort, en julle seuns en julle dogters sal profeteer en julle jong manne sal visioene sien en julle ou manne sal drome droom,^b **18** en in daardie dae sal ek van my gees selfs op my slawe en op my slaafinne uitstort, en hulle sal profeteer.^c **19** En ek sal tekens bo in die hemel en wonderwerke onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. **20** Die son sal in duisternis verander word en die maan in bloed voordat die groot en glorieryke dag van Jehovah* kom. **21** En elkeen wat die naam van Jehovah* aanroep, sal gered word.”^d

22 “Manne van Israel, hoor hierdie woorde: God het julle duidelik laat sien dat Jesus die Nasarener deur hom gestuur is. Soos julle weet, het God deur middel van hom kragtige werke, wonderwerke en tekens onder julle gedoen.^e **23** Hierdie

2:13 *Of “nuwe wyn”. 2:15 *D.w.s. omtrent 09:00. 2:17 *Lett. “vlees”. 2:20, 21 *Sien Aanh. A5.

man is volgens die wil en voorkennis van God oorgelewer,^a en julle het hom deur wettelose mense aan 'n paal laat hang, en julle het hom doodgemaak.^b **24** Maar God het hom uit die dood* bevry deur hom op te wek,^c want dit was onmoontlik vir die dood om hom vas te hou.^d **25** Want Dawid sê van hom: 'Ek hou Jehovah* heelyd voor my. Omdat hy aan my regterhand is, sal ek altyd standvastig wees. **26** Daarom het my hart bly geword, en my tong het met groot vreugde gepraat. En ek* sal bly hoop, **27** want u sal my* nie in die Graf^e los nie, en u sal ook nie toelaat dat u lojale kneg ontbind nie.^e **28** U het die pad van die lewe aan my bekend gemaak. U sal my groot vreugde gee in u teenwoordigheid.^f

29 "Manne, broers, laat my toe om reguit met julle te praat oor die familiehoof Dawid. Hy het gesterf en is begrawe,^g en sy graf is tot vandag toe by ons. **30** Hy was 'n profeet en het geweet dat God hom met 'n eed belowe het dat Hy een van sy nakomelinge op sy troon sou laat sit,^h en daarom **31** het hy die opstanding van die Christus vooraf gesien en daarvoor gepraat. Hy het gesê dat Christus nie in die Graf^e agtergelaat sou word nie en dat sy liggaam* ook nie sou ontbind nie.ⁱ **32** God het hierdie Jesus opgewek, en ons almal is getuies hiervan.^j **33** Omdat hy tot die regterhand van God verhoog is^k en die beloofde heilige gees van die Vader ontvang het,^l het hy dit uit-

2:24 *Of moontlik "die toue van die dood". Lett. "die geboortepyne van die dood". 2:25, 34, 39 *Sien Aanh. A5. 2:26 *Lett. "my vlees". 2:27 *Of "my siel". 2:27, 31 *Of "Hades". Sien Woordelys. 2:31 *Lett. "vlees".

HFST. 2

- a Joh 19:10, 11
Han 4:27, 28
1Pe 1:20
- b Lu 23:33
Han 5:30
Han 7:52
- c Han 3:15
Ro 4:24
1Kor 6:14
Kol 2:12
Heb 13:20
- d Joh 10:17, 18
- e Han 13:35
- f Ps 16:8-11
- g 1Kn 2:10
- h 2Sa 7:12, 13
Ps 89:3, 4
Ps 132:11
- i Ps 16:10
- j Lu 24:46-48
Han 1:8
Han 3:15
- k Ro 8:34
Flp 2:9-11
1Pe 3:22
- l Joh 14:26

Tweede kol.

- a Ps 110:1
Lu 20:42, 43
1Kor 15:25
Heb 10:12, 13
- b Joh 19:6
- c Mt 28:18
Joh 3:35
Han 5:31
- d Lu 24:46, 47
Han 17:30
Han 26:20
- e Mt 28:19
- f Mt 26:27, 28
Ef 1:7
- g Jl 2:28
- h Jl 2:32
- i De 32:5
Ps 78:8
- j Han 8:12
Han 18:8
- k Han 4:4
Han 5:14
- l Han 2:46
- m Han 1:14
- n Han 5:12

gestort, net soos julle sien en hoor. **34** Dawid het nie na die hemel opgevaar nie, maar hy sê self: 'Jehovah* het vir my Here gesê: "Sit aan my regterhand **35** totdat ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak."^a **36** Laat die hele huis van Israel dan vir seker weet dat God hierdie Jesus, wat julle aan 'n paal gehang het,^b as Here en as Christus aangestel het."^c

37 En toe hulle dit hoor, is hulle harte diep geraak, en hulle het vir Petrus en die res van die apostels gevra: "Manne, broers, wat moet ons doen?" **38** Petrus het vir hulle gesê: "Toon berou,^d en laat elkeen van julle in die naam van Jesus Christus gedoop word^e sodat julle sondes vergewe kan word.^f Dan sal julle die heilige gees as 'n vrye gawe ontvang. **39** Want die belofte^g geld vir julle en julle kinders en almal wat ver weg is, almal wat Jehovah* ons God na hom toe sal roep."^h **40** En hy het nog baie ander dinge gesê waarmee hy 'n deeglike getuienis gegee het, en hy het hulle bly aanspoor en gesê: "Sorg dat julle uit hierdie sondige geslag gered word."ⁱ **41** Dié wat sy woorde met blydschap aanvaar het, is dus gedoop,^j en op daardie dag is omtrent 3 000 mense* bygevoeg.^k **42** En hulle het aangehou om aandag te skenk aan wat die apostels geleer het, sowel as om met mekaar te assosieer,* saam te eet^l en te bid.^m

43 Ja, almal* is met ontsag vervul, en die apostels het baie wonderwerke en tekens begin doen.ⁿ **44** Almal wat gelowiges geword het, was bymekaar en het alles gedeel wat hulle gehad het, **45** en hulle het hulle be-

2:41 *Of "siele". 2:42 *Of "om met mekaar te deel". 2:43 *Of "elke siel".

sittings en eiendomme verkoop^a en die geld onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het.^b **46** En hulle het dag ná dag saam in die tempel byme-kaargekom, en hulle het in verskillende huise geëet en hulle kos met groot vreugde en opregte harte gedeel **47** terwyl hulle God geloof het en geliefd geword het by die hele volk. Intussen het Jehovah* voortgegaan om elke dag mense by hulle te voeg wat gered gaan word.^c

3 En Petrus en Johannes het na die tempel gegaan vir die uur van gebed, die negende uur,* **2** en mense het 'n seker man wat van geboorte af verlam was, daarheen gedra. Hulle het hom elke dag neergesit naby die tempeldeur wat Mooi genoem is, sodat hy kon bedel* by die mense wat by die tempel ingaan. **3** Toe hy Petrus en Johannes sien, wat op die punt was om by die tempel in te gaan, het hy by hulle begin bedel.* **4** Maar Petrus en Johannes het reguit na hom gekyk, en Petrus het gesê: "Kyk na ons." **5** En hy het dit gedoen, want hy het gehoop dat hy iets by hulle sou kry. **6** Maar Petrus het gesê: "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou. In die naam van Jesus Christus die Nasarener, loop!"^d **7** Toe het Petrus sy regterhand gevat en hom opgehelp.^e Onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword,^f **8** en hy het opgespring en regop gestaan^g en begin loop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gesprong het en God geloof het. **9** En al die mense het gesien hoe hy loop en God

2:47 *Sien Aanh. A5. 3:1 *D.w.s. omtrent 15:00. 3:2 *Of "genadegawes kon vra". 3:3, 10 *Of "genadegawes vra".

HFST. 2

a Mt 19:21

b Han 4:32, 34

c Han 5:14
Han 11:21
1Kor 3:7

HFST. 3

d Han 3:16
Han 4:10e Mt 8:14, 15
Mt 9:24, 25f Joh 5:8, 9
Han 9:34
Han 14:8-10

g Jes 35:6

Tweede kol.

a Han 3:2

b Joh 10:23
Han 5:12

c Eks 3:6

d Jes 52:13
Jes 53:11

e Flp 2:9-11

f Han 5:30

g Mt 27:20, 21
Lu 23:14, 18h Han 5:31
Heb 2:10i Lu 24:46-48
Han 1:8
Han 2:32

j 1Kor 2:8

k Joh 16:2, 3
1Ti 1:13l Ps 118:22
Jes 50:6
Jes 53:8
Da 9:26
Lu 22:15

loof. **10** En hulle het hom begin herken as die man wat gewoonlik by die tempel se Mooipoort gesit en bedel* het,^a en hulle was verstom en kon nie glo wat met hom gebeur het nie.

11 Terwyl die man nog aan Petrus en Johannes vaseghou het, het al die mense ingestroom by die plek wat die Pilaargang van Salomo genoem is.^b Almal was baie verbaas.

12 Toe Petrus dit sien, het hy vir die mense gesê: "Manne van Israel, hoekom is julle so verbaas hieroor, en hoekom staar julle ons aan asof ons hom deur ons eie krag of toegewydheid aan God laat loop het? **13** Die God van Abraham, Isak en Jakob,^c die God van ons voorvaders, het sy Kneg,^d Jesus,^e verheerlik, wat deur julle oorgelewer^f en verwerp is terwyl hy voor Pilatus gestaan het, al het Pilatus besluit om hom vry te laat. **14** Ja, julle het daardie heilige en regverdige man verwerp, en julle het gevra dat 'n man wat 'n moordenaar is, aan julle gegee word,^g **15** terwyl julle die een wat mense na die lewe lei,^h doodgemaak het. Maar God het hom uit die dood opgewek, 'n feit waarvan ons getuies is.ⁱ **16** En deur sy naam en deur ons geloof in sy naam is hierdie man wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat ons deur Jesus het, het hierdie man voor julle almal heeltemal gesond gemaak. **17** En broers, ek weet dat julle, net soos julle leiers,^j nie geweet het wat julle doen nie.^k **18** Maar op hierdie manier het God die dinge vervul wat hy vooraf deur middel van al die profete aangekondig het, dat sy Christus sou ly.^l

3:15 *Of "die Hoofbewaterker van die lewe".

19 “Toon dus berou^a en draai om^b sodat julle sondes uitgewis kan word.^c Dan sal Jehovah* self tye van verfrissing bring **20** en sal hy die Christus stuur wat vir julle aangestel is, naamlik Jesus. **21** Hy moet in die hemel bly tot die tyd wanneer alle dinge herstel word, waarvan God deur middel van sy heilige profete van die ou tyd gepraat het. **22** Want Moses het gesê: ‘Jehovah* julle God sal vir julle uit julle broers ’n profeet soos ek laat kom.^d Julle moet luister na alles wat hy vir julle sê.^e **23** Ja, enigiemand* wat nie na daardie Profeet luister nie, sal heeltemal onder die volk uit vernietig word.^f **24** En al die profete van Samuel af het ook duidelik oor hierdie dae gepraat.^g **25** Julle is die kinders van die profete en van die verbond wat God met julle voorvaders gemaak het^h toe hy vir Abraham gesê het: ‘En deur middel van jou nageslag* sal al die families van die aarde gesêen word.’ⁱ **26** Nadat God sy Kneg aangestel het, het hy hom eers na julle toe gestuur^j om julle te seën deur elkeen van julle te help om op te hou met julle goddelose dae.”

4 Terwyl Petrus en Johannes met die volk gepraat het, het die priesters, die hoofman van die tempel en die Sadduseërs^k na hulle toe gekom. **2** Hulle was geïrriteerd omdat die apostels die volk geleer het en openlik verkondig het dat Jesus uit die dood opgewek is.^l **3** Hulle het die twee dus gearresteer en hulle tot die volgende dag gevange gehou,^m want dit was al aand. **4** Maar baie van dié wat na die toespraak geluister het,

3:19, 22 *Sien Aanh. A5. **3:23** *Of “enige siel”. **3:25** *Lett. “saad”.

HFST. 3

a Han 2:38

b Ese 33:11
Ef 4:22c Ese 33:14, 16
1Jo 1:7d De 34:10
Han 7:37

e De 18:15, 18

f De 18:19

g Lu 24:27
Han 10:43

h Ro 9:4

i Ge 22:18
Ga 3:8j Han 13:45, 46
Ro 1:16

HFST. 4

k Han 23:8

l Han 4:33
Han 17:18

m Lu 21:12

Tweede kol.

a Han 2:41
Han 6:7

b Joh 18:13

c Mt 26:57
Lu 3:2
Joh 11:49-51

d Han 7:55

e Han 3:7

f Han 3:6

g Han 2:36

h Han 2:24
Han 5:30i Ps 118:22
Jes 28:16
Mt 21:42
1Pe 2:7j Mt 1:21
Han 10:43
Flp 2:9, 10k Joh 1:12
Joh 14:6
ITI 2:5, 6l Mt 11:25
1Kor 1:26, 27

m Joh 7:14, 15

het gelowiges geword, en die getal manne het tot omtrent 5 000 gegroei.^a

5 Die volgende dag het hulle leiers, ouermanne en skrifgeleerdes in Jerusalem vergader, **6** saam met die hoofpriester Annas,^b sowel as Ka'jafas,^c Johannes, Aleksander en almal wat familie van die hoofpriester was. **7** Hulle het Petrus en Johannes in die middel laat staan en hulle begin ondervra: “Deur watter krag of in wie se naam het julle dit gedoen?” **8** Toe het Petrus, vol heilige gees,^d vir hulle gesê:

“Leiers van die volk en ouermanne, **9** as ons vandag ondervra word oor ’n goeie daad aan ’n kreupel man^e en julle wil weet wie hierdie man gesond gemaak het, **10** laat dit dan aan julle almal en aan die hele volk Israel bekend wees dat hierdie man hier gesond voor julle staan in die naam van Jesus Christus die Nasarener,^f wat julle aan ’n paal gehang het^g maar wat God uit die dood opgewek het.^h **11** Hy is ‘die steen wat deur julle, die bouers, as onbelangrik beskou is, maar wat die belangrikste hoeksteen* geword het’.ⁱ **12** En daar is geen redding in enigiemand anders nie, want daar is geen ander naam^j onder die hemel wat aan mense gegee is waardeur ons gered moet word nie.”^k

13 Toe hulle sien hoe uitgesproke* Petrus en Johannes is en dat hulle ongeleerde^l en gewone mense is,^m was hulle verbaas. En hulle het besef dat hierdie manne voorheen saam met Jesus was.ⁿ **14** Om-

4:11 *Lett. “die hoof van die hoek”.

4:13 *Of “moedig”. ^aD.w.s. nie by rabbynse skole opgelei nie; beteken nie ongeletterd nie.

dat hulle die man wat genees is, by die twee sien staan het,^a kon hulle niks in antwoord daarop sê nie.^b **15** Toe het hulle hulle beveel om uit die Sanhe'drinsaal uit te gaan, en hulle het die saak met mekaar begin bespreek **16** en gesê: "Wat moet ons met hierdie mense doen?"^c Want dit is duidelik dat hulle 'n wonderwerk* gedoen het, 'n wonderwerk* waarvan al die inwoners van Jerusalem weet,^d en ons kan dit nie ontken nie. **17** Kom ons dreig hulle en sê vir hulle om nie meer met enigiemand in die naam van hierdie man te praat nie, sodat dit nie verder onder die volk versprei nie."^e

18 Toe het hulle hulle groep en hulle beveel om niks in die naam van Jesus te sê of te leer nie. **19** Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Oordeel self of dit in God se oë reg is om na julle te luister eerder as na God. **20** Maar ons kan nie ophou praat oor die dinge wat ons gesien en gehoor het nie."^f **21** Nadat hulle die manne verder gedreig het, het hulle hulle vrygelaat, omdat hulle geen rede gevind het om hulle te straf nie. Hulle was ook bang vir die volk,^g want hulle almal het God geloof oor wat gebeur het. **22** Want die man wat deur middel van hierdie wonderwerk* genees is, was ouer as 40 jaar.

23 Nadat die twee vrygelaat is, het hulle na hulle eie mense toe gegaan en vir hulle vertel wat die hoofpriesters en die ouermanne vir hulle gesê het. **24** Toe hulle dit hoor, het hulle saam tot God gebid en gesê:

"Soewereine Heer, u is die Een wat die hemel en die aar-

4:16, 22 *Lett. "teken".

Hfst. 4

a Han 3:11

b Lu 21:15

c Joh 11:47

d Han 3:9, 10

e Han 5:40

f Han 5:29

g Lu 22:2
Han 5:26

Tweede kol.

a Eks 20:11
Ne 9:6
Ps 146:6

b 2Sa 23:1, 2

c Ps 2:1, 2

d Lu 23:12

e Ps 45:7
Han 10:38

f Jes 53:10
Lu 24:44
Han 2:23
1Pe 1:20

g Han 3:16

h Han 2:43
Han 5:12

i Han 2:2, 4

j 1Te 2:2

k Han 2:44, 45

l Han 1:21, 22
Han 4:2

de en die see en alles daarin maak het,^a **25** en wat deur middel van heilige gees deur die mond van ons voorvader Dawid,^b u kneg, gesê het: "Hoekom het nasies onrustig geword en volke aan nuttelose dinge gedink? **26** Die konings van die aarde het stelling ingeneem, en die leiers het soos een man saamgespan teen Jehovah* en teen sy gesalfde."^c **27** Want Herodes sowel as Pontius Pilatus^d het saam met die mense van die nasies en die volke van Israel in hierdie stad bymekaargekom teen u heilige kneg Jesus, wat u gesalf het,^e **28** om te doen wat u voor die tyd met u mag en wil* besluit het sal gebeur.^f **29** En nou, Jehovah,* skenk aandag aan hulle dreigemente, en help u slawe om u woord moedig te verkondig, **30** terwyl u u hand uitsteek om siektes te genees en terwyl tekens en wonderwerke deur die naam van u heilige kneg Jesus^g plaasvind."^h

31 En nadat hulle 'n smeekgebed gedoen het, is die plek waar hulle bymekaargekom het, geskud, en hulle is almal met die heilige gees gevulⁱ en het die woord van God moedig verkondig.^j

32 En die groot groep wat gelowiges geword het, was een van hart en siel,* en nie eers een van hulle het gesê dat enige van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles gedeel.^k **33** En die apostels het op 'n kragtige manier bly getuig oor die opstanding van die Here Jesus,^l en God het sy onverdiende goedheid ryklik aan hulle almal getoon. **34** Nie een

4:26, 29 *Sien Aanh. A5. 4:26 #Of "sy Christus". 4:28 *Lett. "hand en raad". 4:32 *Of "het dieselfde denke en gevoelens gehad".

van hulle het swaargekry nie,^a want almal wat landerye of huise besit het, het dit verkoop en die geld gebring **35** en dit by die apostels se voete neergesit.^b Dan is dit uitgedeel aan elkeen volgens wat hy nodig gehad het.^c **36** En Josef, wat ook deur die apostels Bar'nabas^d genoem is (wat "seun van vertroosting" beteken), 'n Leviet wat in Siprus gebore is, **37** het 'n stuk grond besit, en hy het dit verkoop en die geld gebring en dit by die apostels se voete neergesit.^e

5 'n Man met die naam Anani'as het saam met sy vrou Saffi'ra 'n eiendom verkoop. **2** Maar hy het in die geheim van die geld teruggehou terwyl sy vrou daarvan geweet het, en hy het net 'n gedeelte gebring en dit by die apostels se voete neergesit.^f **3** Toe het Petrus gesê: "Anani'as, hoekom het Satan jou gekry om vir die heilige gees^g te lieg^h en in die geheim van die geld terug te hou wat jy vir die grond gekry het? **4** Was dit nie jou eiendom toe dit nog aan jou behoort het nie? En toe dit verkoop is, kon jy nie met die geld doen wat jy wou nie? Hoekom het jy in jou hart gedink om so iets te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God." **5** Toe Anani'as hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterf. En almal wat daarvan gehoor het, het baie bang geword. **6** Toe het die jonger mans opgestaan, hom in doeke toegedraai, hom uitgedra en hom begrawe.

7 Ná omtrent drie uur het sy vrou ingekom, maar sy het nie geweet wat gebeur het nie. **8** Petrus het vir haar gevra: "Sê vir my, het julle twee die grond vir soveel verkoop?" Sy het gesê: "Ja, vir soveel." **9** Toe het

- HFST. 4
a Han 2:44, 45
b Han 5:1, 2
c Han 6:1
d Han 11:22
Han 12:25
e Lu 12:33

- HFST. 5
f Han 4:34, 35
g Han 5:9
h Ps 101:7
Ef 4:25
Kol 3:9

- Tweede kol.
a Han 4:29, 30
Han 6:8
Han 14:3
Han 15:12
Ro 15:18, 19
2Kor 12:12

- b Joh 10:23
Han 3:11
c Han 6:7
d Mt 9:20, 21

- e Lu 21:12
f Ps 34:7
Han 12:7
Han 16:26
Heb 1:7, 14

Petrus vir haar gesê: "Hoekom het julle afgespreek om die gees van Jehovah* te toets? Kyk! Die voete van dié wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra." **10** Sy het onmiddellik voor sy voete neergeval en gesterf. Toe die jong manne inkom, het hulle gesien dat sy dood is, en hulle het haar uitgedra en haar langs haar man begrawe. **11** Toe het die hele gemeente en almal wat hiervan gehoor het, baie bang geword.

12 En die apostels het aangehou om baie tekens en wonderwerke onder die volk te doen,^a en hulle almal het in die Pilaargang van Salomo^b bymekaargekom. **13** Nie een van die ander het die moed gehad om by hulle aan te sluit nie, maar die volk het goeie dinge oor hulle gesê. **14** En nog baie meer mans en vrouens het in die Here geglo en dissipels geword.^c **15** Hulle het selfs die siekes na die hoofstrate toe gebring en hulle daar op bedjies en slaapmatte neergelê, sodat Petrus se skaduwee ten minste op van hulle sou val wanneer hy verbygaan.^d **16** Groepe mense uit die stede rondom Jerusalem het ook bly kom en het siek mense gebring, sowel as dié wat deur onrein geeste lastig geval is, en hulle is almal genees.

17 Maar die hoëpriester en almal van die sekte van die Sadduseërs wat saam met hom was, het opgestaan en was baie jaloers. **18** En hulle het die apostels gearresteer en hulle in die openbare tronk gesit.^e **19** Maar gedurende die nag het Jehovah* se engel die deure van die tronk oopgemaak,^f hulle uitgebring en gesê: **20** "Gaan na die tempel en hou aan om die

5:9, 19 *Sien Aanh. A5.

hele boodskap omtrent hierdie lewe aan die volk te verkondig.”
21 Nadat hulle dit gehoor het, het hulle met dagbreek in die tempel ingegaan en die mense begin leer.

En toe die hoëpriester en dié wat saam met hom was, daar aankom, het hulle die Sanhe'drin en al die ouerманne van die Israëliete bymekaargeroep, en hulle het beampptes gestuur om die apostels uit die tronk te gaan haal. **22** Maar toe die beampptes daar aankom, het hulle gesien dat die apostels nie in die tronk is nie. Toe het hulle teruggegaan **23** en gesê: “Die tronk was behoorlik toegesluit, en die wagte het by die deure gestaan, maar toe ons dit oopmaak, was daar niemand daar binne nie.” **24** Wel, toe die hoofman van die tempel en die hoofprieesters dit hoor, was hulle verward en het hulle gewonder wat volgende sou gebeur. **25** Maar iemand het vir hulle kom sê: “Kyk! Die mans wat julle in die tronk gesit het, is in die tempel, en hulle staan en leer die mense.” **26** Toe het die hoofman met sy beampptes gegaan en hulle ingebring, maar sonder geweld, want hulle was bang dat die volk hulle met klippe sou doodgooi.^a

27 Toe het hulle die apostels gebring en hulle voor die Sanhe'drin laat staan. Daarna het die hoëpriester hulle ondervra **28** en gesê: “Ons het julle uitdruklik beveel om op te hou om die mense in hierdie naam te leer,^b maar kyk! julle het julle leringe deur die hele Jerusalem versprei, en julle is vasbeslote om die bloed van hierdie man oor ons te bring.”^c **29** Petrus en die ander apostels het geantwoord: “Ons moet eerder aan God as heerser gehoorsaam

HFST. 5

a Lu 20:19

b Han 4:18

c Mt 27:25
Han 3:14, 15

Tweede kol.

a Da 3:17, 18
Han 4:19, 20

b Han 2:23, 24

c Han 3:15

d Mt 1:21
Heb 2:10e Han 2:32, 33
Flp 2:9f Jes 53:11
Han 2:38
Han 10:43g Lu 24:46-48
Han 1:8

h Joh 15:26

i Han 22:3

j Spr 21:30

wees as aan mense.^a **30** Die God van ons voorvaders het Jesus, wat julle doodgemaak het deur hom aan 'n paal* te hang,^b uit die dood opgewek. **31** God het hom as die Leier*^c en Redder^d tot aan Sy regterhand verhoog,^e sodat Israel berou kan toon en hulle sondes vergewe kan word.^f **32** En ons is getuies van hierdie dinge,^g en so ook die heilige gees,^h wat God aan dié gegee het wat hom as heerser gehoorsaam.”

33 Toe hulle dit hoor, was hulle woedend* en wou hulle die apostels doodmaak. **34** Maar 'n Fariseër met die naam Gamaliëlⁱ het in die Sanhe'drin opgestaan. Hy was 'n leermeester van die Wet en is deur die hele volk gerespekteer, en hy het bevestig dat die mans vir 'n rukkie na buite geneem moet word. **35** Toe het hy vir hulle gesê: “Manne van Israel, dink mooi na oor wat julle met hierdie mans gaan doen. **36** Byvoorbeeld, voor hierdie dae het Teudas gekom en gesê dat hy belangrik is, en 'n aantal manne, omtrent 400, het by hom aangesluit. Maar hy is doodgemaak, en almal wat hom gevolg het, is verstrooi en het niks bereik nie. **37** Nà hom het Judas die Galileër in die tyd van die registrasie gekom, en hy het mense gekry om hom te volg. Daardie man is ook dood, en almal wat hom gevolg het, is verstrooi. **38** Onder hierdie omstandighede sê ek dus vir julle: Los hierdie manne uit, en laat hulle gaan, want as hierdie plan of hierdie werk van mense kom, sal dit misluk, **39** maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie.^j Anders veg

5:30 *Of “boom”. 5:31 *Of “die Hoofbewerker”. 5:33 *Of “het hulle diep gegrief gevoel”.

julle dalk eintlik teen God self.^a
40 Toe het hulle sy raad gevolg. Hulle het die apostels laat roep, hulle geslaan^b en hulle beveel om op te hou om in Jesus se naam te praat, en hulle het hulle laat gaan.

41 Hulle het toe van die Sanhe'drin af weggegaan en was bly^c omdat hulle waardig bevind is om ter wille van sy naam verneder te word. **42** En hulle het elke dag sonder ophou voortgegaan om mense in die tempel en van huis tot huis^d te leer en die goeie nuus oor die Christus, Jesus, bekend te maak.^e

6 En in daardie dae, toe die dissipels vermeerder het, het die Griekssprekende Jode begin kla teen die Hebreeusprekende Jode omdat hulle weduwees nie van die kos ontvang het wat elke dag uitgedeel is nie.^f **2** Toe het die Twaalf die groep dissipels bymekaargeroep en gesê: "Dit is nie reg dat ons ophou om die woord van God aan ander te leer sodat ons kos aan tafels kan uitdele nie."^g **3** Broers, daarom moet julle sewe manne onder julle kies wat 'n goeie reputasie het,^h vol gees en wysheid,ⁱ sodat ons hulle oor hierdie nodige saak kan aanstel,^j **4** maar ons sal ons tyd en energie gebruik om te bid en om die woord aan ander te leer." **5** Wat hulle gesê het, het goed geklink vir die hele groep, en hulle het Stefa'nus gekies, 'n man vol geloof en heilige gees, sowel as Filippus,^k Pro'gorus, Nika'nor, Timon, Par'menas en Nikola'us, 'n proseliet van Antio'gië. **6** Hulle het hulle na die apostels toe gebring, en nadat hulle gebid het, het die apostels hulle hande op hulle gelê.^l

7 So het die woord van God aanhou versprei,^m en die aan-

HFST. 5

a Han 26:14

b Mt 10:17

Mr 13:9

c Mt 5:12

Han 16:25

Ro 5:3

2Kor 12:10

Flp 1:29

Heb 10:34

1Pe 4:13

d Han 20:20

e Han 4:31

HFST. 6

f Han 4:34, 35

1Ti 5:3

Jak 1:27

g Eks 18:17, 18

h Han 16:1, 2

1Ti 3:7

i Han 6:8, 10

j De 1:13

k Han 21:8

l De 34:9

Han 8:14, 17

Han 13:2, 3

1Ti 4:14

1Ti 5:22

2Ti 1:6

m Han 12:24

Han 19:20

Tweede kol.

a Han 2:47

b Joh 12:42

Han 15:5

c Jes 54:17

Lu 21:15

Han 6:3

HFST. 7

d Ge 11:31

tal dissipels in Jerusalem het grootliks toegeneem,^a en 'n groot groep priesters het gelowiges geword.^b

8 En Stefa'nus, wat God se goedkeuring en krag gehad het, het groot wonderwerke en tekens onder die volk gedoen.

9 Maar party lede van die sogenaamde Sinagoge van die Vrygelatenes, asook party van die Sirene'ërs en Aleksandryne en van dié wat uit Sili'sië en Asië was, het na Stefa'nus toe gekom om met hom te redekeer. **10** Maar hulle kon niks teen hom sê nie, want hy het met wysheid en gees gepraat.^c

11 Toe het hulle in die geheim manne oorreed om te sê: "Ons het gehoor hoe hy Moses en God beledig."^d

12 Toe het hulle die volk, die ouermanne en die skrifgeleerdes opgesteek, en hulle het skielik op hom afgestorm, hom met geweld gegryp en hom na die Sanhe'drin gelei.

13 En hulle het valse getuies gebring, wat gesê het: "Hierdie man hou nie op om dinge teen hierdie heilige plek en teen die Wet te sê nie. **14** Ons het hom byvoorbeeld hoor sê dat hierdie Jesus die Nasarener hierdie plek sal afbreek en die tradisies sal verander wat Moses aan ons gegee het."

15 Almal wat in die Sanhe'drin gesit het, het na hom gestaar en gesien dat sy gesig soos die gesig van 'n engel is.

7 Maar die hoëpriester het gevra: "Is hierdie dinge so?" **2** Stefa'nus het geantwoord: "Manne, broers en vaders, luister. Die glorieryke God het aan ons voorvader Abraham verskyn terwyl hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran^d

6:11 *Lett. "lasterlike woorde teen . . . sê".

gaan woon het, **3** en hy het vir hom gesê: "Trek weg uit jou land en van jou familieleden en gaan na die land wat ek jou sal wys."^a **4** Toe het hy uit die land van die Galdeërs weggetrek en in Haran gaan woon. Nadat sy pa gesterf het,^b het God hom daarvandaan laat trek, en hy het kom woon in hierdie land waarin julle nou woon.^c **5** En tog het God hom nie 'n erfdeel daarin gegee nie, nee, nie eers 'n klein stukkie grond* nie, maar hy het belowe om dit as 'n besitting aan hom en sy nageslag[#] te gee,^d al het hy nog nie kinders gehad nie. **6** God het ook vir hom gesê dat sy nageslag[#] uitlanders sou wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie en dat die mense hulle slawe sou maak en hulle 400 jaar lank sleg sou behandel.^e **7** 'En ek sal die nasie oordeel wat hulle slawe gemaak het,^f het God gesê, 'en daarna sal hulle daardie land verlaat en op hierdie plek heilige diens vir my doen.'^g

8 "Hy het ook vir hom 'n verbond van besnydenis gegee,^h en hy het die pa geword van Isakⁱ en hom op die agtste dag besny,^j en Isak het die pa geword van* Jakob, en Jakob het die pa geword van die 12 familiehoofde.[#] **9** En die familiehoofde het jaloers geword en het Josef^k verkoop om na Egipte geneem te word.^l Maar God was met hom,^m **10** en hy het hom gered van al sy moeilikheide. Hy het vir hom wysheid gegee en het hom die goedkeuring van Farao, die koning van Egipte, laat geniet. En Farao het hom aangestel om Egipte en sy

7:5 *Lett. "n voetbreedte". 7:5, 6 "Lett. "saad". 7:8 *Of moontlik "het dieselfde gedoen met". #Of "aartsvaders".

HFST. 7
a Ge 12:1
b Ge 11:32
c Ge 12:4, 5
Heb 11:8
d Ge 12:7
Ge 13:14, 15
Ge 17:1, 8
e Ge 15:13
Eks 12:40
f Ge 15:14
g Eks 3:12
h Ge 17:9, 10
i Ge 21:1-3
j Ge 21:4
k Ge 37:9-11
l Ge 37:28
Ge 45:4
m Ge 39:2, 3

Tweede kol.

a Ge 41:40-46
b Ge 41:54
Ge 42:5
c Ge 42:2, 6
d Ge 45:1, 16
e Ge 45:9-11
f Ge 46:27
De 10:22
g Ge 46:29
De 26:5
h Ge 49:33
i Eks 1:6
j Ge 23:16
Eks 13:19
Jos 24:32
k Eks 1:7, 8
l Eks 1:10, 22
m Eks 2:2
Heb 11:23
n Eks 2:3
o Eks 2:5, 10
p Eks 11:3

hele huis te bestuur.^a **11** Maar 'n hongersnood het oor die hele Egipte en Kanaän gekom, ja, 'n baie moeilike tyd, en ons voorvaders kon niks kry om te eet nie.^b **12** Maar Jakob het gehoor dat daar kos* in Egipte is, en hy het ons voorvaders die eerste keer uitgestuur.^c **13** Die tweede keer het Josef vir sy broers gesê wie hy is, en Farao het uitgevind wie Josef se familie is.^d **14** Toe het Josef 'n boodskap gestuur en sy pa, Jakob, en al sy familieleden van Kanaän laat roep,^e altesaam 75 mense.^{*f} **15** Jakob het toe na Egipte gegaan,^g en hy het daar gesterf,^h en ons voorvaders ook.ⁱ **16** Hulle is na Sigem geneem en in die graf neergelê wat Abraham vir 'n bedrag silwergeld by die seuns van Hemor in Sigem gekoop het.^j

17 "Toe die tyd nader kom vir God se belofte aan Abraham om vervul te word, het die volk in Egipte vermeerder en baie koning, **18** totdat 'n ander koning oor Egipte begin regeer het, 'n koning wat niks van Josef geweet het nie.^k **19** Hy het 'n slinkse plan teen ons ras uitgevoer en die pa's verkeerdlik gedwing om hulle babas weg te gooi sodat hulle nie sou bly lewe nie.^l **20** In dié tyd is Moses gebore, en hy was besonder mooi.* Hy is drie maande in sy pa se huis versorg.^{#m} **21** Maar toe sy ouers gedwing is om hom weg te gooi,ⁿ het die dogter van Farao hom gevat en hom as haar eie seun grootgemaak.^o **22** Moses is dus in al die wysheid van die Egiptenare onderrig. Om die waarheid te sê, hy was kragtig in sy woorde en dade.^p

7:12 *Of "graan". 7:14 *Of "siele". 7:20 *Of "was mooi in God se oë". #Of "grootgemaak".

23 “Toe hy 40 geword het, het hy besluit* om te gaan kyk hoe dit met sy broers, die Israëliete, gaan.^a 24 Toe hy sien dat een van hulle onregverdig behandel word, het hy sy broer verdedig en wraak geneem deur die Egiptenaar dood te maak.

25 Hy het gedink dat sy broers sou besef dat God hom gebruik om hulle te red, maar hulle het dit nie besef nie. 26 Die volgende dag het hy na hulle toe gekom terwyl hulle baklei het, en hy het vrede tussen hulle probeer maak deur te sê: ‘Manne, julle is broers. Hoekom baklei julle met mekaar?’

27 Maar die een wat sy broer sleg behandel het, het hom weggestoot en gevra: ‘Wie het jou as leier en regter oor ons aangestel?’ 28 Gaan jy my ook doodmaak soos jy die Egiptenaar gister doodgemaak het?’ 29 Toe Moses dit hoor, het hy gevlug en as ’n uitlander in die land Mi’dian gewoon, waar hy die pa van twee seuns geword het.^b

30 “Ná 40 jaar het ’n engel in die wildernis van die berg Si’nai in die vlam van ’n brandende doringbos aan hom verskyn.^c 31 Toe Moses dit sien, was hy verbaas. Maar toe hy nader gaan om ondersoek in te stel, het hy Jehovah* se stem gehoor wat sê: 32 ‘Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob.’^d Moses het begin bewe en het dit nie gewaag om nader te gaan nie. 33 Jehovah* het vir hom gesê: “Trek jou sandale uit, want jy staan op heilige grond. 34 Ek het gesien hoe my volk in Egipte onderdruk word, en ek het gehoor hoe hulle sug en steun,^e en ek het neergedaal om hulle te red. Daarom sal ek jou

7:23 *Lett. “het dit in sy hart opgekom”. 7:31, 33 *Sien Aanh. A5.

HFST. 7
a Eks 2:11-15
b Eks 2:21, 22
Eks 18:2-4
c Eks 3:2-10
d Eks 3:6
Mr 12:26
Lu 20:37
e Eks 2:23, 24

Tweede kol.

a Eks 2:14
Han 7:27
b Eks 4:19
c Eks 12:41
d Eks 7:3
e Eks 14:21, 22
Eks 15:4, 5
f Eks 16:35
Nu 14:33, 34
g De 18:15
Han 3:22
h Han 7:53
Ga 3:19
i Eks 19:3
De 5:27
j Eks 21:1
De 9:10
k Nu 14:3, 4
l Eks 16:3
m Eks 32:1, 23
n Eks 32:4, 6
o 2Kn 17:16
p 1Kn 11:7

na Egipte toe stuur.’ 35 Hierdie Moses, wat hulle verwerp het deur te sê: ‘Wie het jou as leier en regter aangestel?’^a is dieselfde man wat God as leier en redder gestuur het^b deur middel van die engel wat in die doringbos aan hom verskyn het. 36 Hierdie man het hulle uitgelei^c en het wonderwerke en tekens in Egipte,^d by die Rooisee^e en in die wildernis gedoen, 40 jaar lank.^f

37 “Dit is die Moses wat vir die Israëliete gesê het: ‘God sal vir julle uit julle broers ’n profet soos ek laat kom.’^g 38 Dit is hy wat saam met die Israëliete in die wildernis bymeekaargekom het. Hy was daar by die engel^h wat op die berg Si’nai met hom en met ons voorvaders gepraat het.ⁱ Hy het lewende heilige verklaarings ontvang om aan ons te gee.^j 39 Ons voorvaders het geweier om hom te gehoorsaam, maar hulle het hom weggestoot^k en het in hulle harte na Egipte teruggedraai/ 40 deur vir Aäron te sê: ‘Maak vir ons gode om voor ons uit te gaan. Want ons weet nie wat geword het van hierdie Moses, wat ons uit Egipte uitgelei het nie.’^m 41 Toe het hulle in daardie dae ’n kalf gemaak en ’n offerande aan die afgod gebring en feesgevier oor wat hulle gemaak het.ⁿ 42 Toe het God van hulle af weggedraai en hulle oorgegee om die leërmag van die hemel te aanbid,^o net soos daar in die boek van die profete geskryf is: ‘O huis van Israel, dit was nie aan my dat julle 40 jaar lank in die wildernis diere-offers en offerandes gebring het nie, of hoe? 43 Maar dit was die tent van Molog^p en die ster van die god Refan wat julle saamgedra het, die beelde wat julle gemaak het om te aanbid. Daarom sal ek

julle tot anderkant Babilon wegvoer.^a

44 "Ons voorvaders het die tent van die getuienis in die wildernis gehad. God het Moses beveel om dit te maak volgens die voorbeeld wat hy gesien het.^b

45 En ons voorvaders het dit ontvang en dit saam met Josua ingebring in die land van die nasies,^c wat God voor ons voorvaders uitgedryf het.^d Dit het tot die dae van Dawid hier gebly.

46 Hy het God se seën geniet en het gevra of hy die voorreg kan hê om 'n woonplek vir die God van Jakob te bou.^e

47 Maar dit was Salomo wat vir hom 'n huis gebou het.^f **48** Die Allerhoogste woon egter nie in huise wat met hande gemaak is nie,^g net soos die profeet sê:

49 'Die hemel is my troon^h en die aarde is my voetbank.ⁱ Wat ter soort huis sal julle vir my bou? sê Jehovah.* Of waar is my rusplek? **50** My hand het al hierdie dinge gemaak, nie waar nie?"^j

51 "Julle is hardkoppig, en julle harte en ore is toe,* en julle weerstaan altyd die heilige gees, net soos julle voorvaders gedoen het.^k **52** Watter een van die profete is nie deur julle voorvaders vervolgt nie? Ja, hulle het die mense doodgemaak wat aangekondig het dat die Regverdige sal kom.^m En nou het julle hom verraai en vermoor,ⁿ **53** julle wat die Wet ontvang het, wat deur engele oorgedra is,^o maar dit nie gehoorsaam het nie."

54 Wel, toe hulle hierdie dinge hoor, het hulle woedend geword* vir hom en op hulle tande begin kners. **55** Maar hy was vol heilige gees en het

7:49, 60 *Sien Aanb. A5. 7:51 *Lett. "nie besny nie". 7:54 *Of "in hulle harte gegrief gevoel".

HFST. 7

a Jer 25:11

Am 5:25-27

b Eks 25:40

c De 3:28

De 31:3

Jos 3:14

d Ge 17:1, 8

Jos 23:9

Jos 24:18

e 2Sa 7:2

1Kr 22:7

Ps 132:1-5

f 1Kn 6:1

g Han 17:24

h Ps 11:4

i Mt 5:34, 35

j Jes 66:1, 2

Heb 3:4

k Jes 63:10

l 2Kr 36:16

m Mt 23:31

n Jes 53:8

Han 3:13, 14

o Han 7:38

Ga 3:19

Tweede kol.

a Ps 110:1

Mt 26:64

b Da 7:13

c Ro 8:34

d Le 24:14, 16

Mt 23:37

Joh 16:2

e De 17:7

f Han 8:1

Han 22:20

g Mt 5:44

HFST. 8

h Han 7:58

i Mt 10:23

Han 11:19

j Han 9:1, 2

Han 22:4

Han 26:10

Ga 1:13

Flp 3:5, 6

k Han 11:19

l Joh 4:39-42

Han 1:8

na die hemel opgekyk en God se heerlijkheid gesien en Jesus wat aan God se regterhand staan,^a

56 en hy het gesê: "Kyk! Ek sien dat die hemel oop is en dat die Seun van die mens^b aan God se regterhand staan."^c **57** Toe het hulle so hard geskree as wat hulle kon en hulle ore toegedruk, en hulle almal het op hom afgestorm. **58** Nadat hulle hom uit die stad uit geneem het, het hulle hom met klippe begin gooi.^d Die getuies^e het hulle bo-klere by die voete van 'n jong man met die naam Saulus neergesit.^f **59** Terwyl hulle Stefa'nus met klippe gegooi het, het hy gesmeek: "Here Jesus, ontvang my gees."^g **60** Toe het hy op sy knieë gegaan en met 'n sterk stem uitgeroep: "Jehovah,* moet hulle nie vir hierdie sonde verantwoordelik hou nie."^g En nadat hy dit gesê het, het hy gesterf.^h

8 En Saulus het die moord van Stefa'nus goedgekeur.^h Op daardie dag het 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan. Almal behalwe die apostels is regdeur Jude'a en Samari'a verstrooi.ⁱ **2** Maar godvresende manne het Stefa'nus weggedra om hom te gaan begrawe, en hulle het baie oor hom getreur. **3** Saulus het egter gewelddadig teen die gemeente begin optree. Hy het in een huis ná die ander ingegaan en mans sowel as vrouens uitgesleep en hulle in die tronk laat gooi.^j

4 Maar dié wat verstrooi is, het deur die land gegaan en die goeie nuus van die woord bekend gemaak.^k **5** Filippus het na die stad Samari'a*^l gegaan en vir die mense daar oor die

7:60 *Lett. "gaan slaap". 8:5 *Of moontlik "n stad van Samaria".

Christus gepreek. **6** Almal in die skare het aandag geskenk aan wat Filippus gesê het, terwyl hulle geluister het en die wonderwerke* gesien het wat hy gedoen het. **7** Want baie het onrein geeste in hulle gehad, wat met 'n harde stem uitgeroep en uitgekom het.^a En baie wat verlam en kreupel was, is genees. **8** Daar was dus groot blydskap in daardie stad.

9 In die stad was daar 'n man met die naam Simon, wat voorheen toorkuns beoefen het. Hy het die nasie van Samari'a hiermee verbaas en het gesê dat hy iemand spesiaal is. **10** Hulle almal, van die kleinste tot die grootste, het na hom geluister en gesê: "God se groot krag is in hierdie man." **11** Hulle het na hom geluister omdat hy hulle al 'n hele ruk lank verbaas het met sy toorkuns. **12** Toe Filippus die goeie nuus van die Koninkryk van God en die naam van Jesus Christus bekend gemaak het,^b het die mense hom geglo, en mans en vrouens is gedoop.^c **13** Simon het ook 'n gelowige geword, en nadat hy gedoop is, was hy die hele tyd by Filippus,^d en hy was verbaas toe hy die tekens en wonderwerke sien wat Filippus gedoen het.

14 Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samari'a die woord van God aanvaar het,^e het hulle Petrus en Johannes na hulle toe gestuur. **15** En hulle het daarheen gegaan en vir hulle gebid sodat hulle heilige gees kan ontvang.^f **16** Want nog nie een van hulle het die heilige gees ontvang nie, maar hulle was net in die naam van die Here Jesus gedoop.^g **17** Toe het hulle hulle hande op hulle gelê,^h en hulle het heilige gees begin ontvang.

8:6 *Lett. "tekens".

HFST. 8

a Mt 10:1
Mr 6:7

b Lu 8:1

c Mt 28:19
Han 18:8

d Han 6:5

e Han 11:1

f Mt 16:19

g Han 10:47, 48
Han 19:2, 3

h Han 6:5, 6
Han 19:6
2Ti 1:6

Tweede kol.

a Mt 10:8
Han 10:45

b Mt 9:35
Han 1:8

c Heb 1:7, 14
Op 14:6

d 2Kr 6:32, 33

18 Toe Simon sien dat mense die gees ontvang wanneer die apostels hulle hande op hulle gelê het, het hy vir die apostels geld aangebied **19** en gesê: "Gee vir my ook hierdie gesag, sodat enigeen op wie ek my hande lê, heilige gees kan ontvang." **20** Maar Petrus het vir hom gesê: "Mag jou geld saam met jou vergaan, want jy het gedink dat jy die vrye gawe van God met geld kan koop.^a **21** Jy het niks met hierdie saak te doen nie, want jou hart is nie reg in God se oë nie. **22** Toon dus berou oor jou slegtheid, en smeeke Jehovah* om die goddelose dinge in jou hart te vergeve, as dit moontlik is, **23** want ek sien dat jy bitter gif en 'n slaaf van onregverdigheid is." **24** Simon het toe vir hulle gesê: "Doen vir my 'n smeekebed tot Jehovah* dat niks wat julle gesê het, oor my sal kom nie."

25 Nadat hulle deeglik getuig het en die woord van Jehovah* bekend gemaak het, het hulle teruggegaan Jerusalem toe. Op pad terug het hulle die goeie nuus in baie dorpie van die Samaritane bekend gemaak.^b

26 Maar Jehovah* se engel^c het vir Filippus gesê: "Staan op en gaan na die suide, na die pad wat van Jerusalem na Gasa loop." (Dit is 'n woestynpad.) **27** Toe het hy opgestaan en gegaan, en daar was 'n Etiopiese eunug,^{*} 'n man met gesag in die regering van Kanda'ke, die koningin van die Etiopiërs. Hy was in beheer van al haar skatte. Hy het na Jerusalem gegaan om te aanbid,^d **28** maar hy was op pad terug en het in sy strydwa gesit en hardop uit die boek van die profeet Jesaja gelees.

8:22, 24-26 *Sien Aanh. A5. 8:27 *Of "hofbeampte".

29 Toe het die gees vir Filippus gesê: “Gaan na daardie strydwa toe.” **30** Filippus het langs die strydwa gehardloop en het gehoor hoe die eunug uit die boek van die profeet Jesaja lees, en hy het gevra: “Verstaan u regtig wat u lees?” **31** Hy het gevra: “Hoe kan ek dit ooit verstaan as iemand my nie lei nie?” Toe het hy Filippus gevra om op te klim en by hom te kom sit. **32** Hy was besig om die volgende Skrifgedeelte te lees: “Soos 'n skaap is hy gebring om geslag te word, en soos 'n lam wat nie 'n geluid maak voor sy skeerder nie, so maak hy nie sy mond oop nie.” **33** Gedurende sy vernedering is geregtigheid van hom af weggeneem.^b Wie sal die besonderhede van sy geslag* vertel? Want sy lewe word van die aarde weggeneem.”^c

34 Die eunug het toe vir Filippus gevra: “Sê asseblief vir my: Van wie praat die profeet hier? Van homself of van iemand anders?” **35** Filippus het toe begin praat. Hy het met hierdie Skrifgedeelte begin en hom van die goeie nuus oor Jesus vertel. **36** Op pad het hulle by water gekom, en die eunug het gesê: “Kyk! Hier is water. Wat keer my om gedoop te word?” **37** — **38** Toe het hy beveel dat die strydwa moet stilhou, en Filippus en die eunug het in die water geklim, en Filippus het hom gedoop. **39** Toe hulle uit die water opgeklim het, het Jehovah* se gees Filippus vinnig weggelei, en die eunug het hom nie meer gesien nie, maar hy het vreugdevol verder gereis. **40** Filippus het egter in Asdod aangekom,

8:33 *Of “herkoms; lewenswyse”.
8:37 *Sien Aanh. A3. **8:39** *Sien Aanh. A5.

HFST. 8

a 1Pe 2:23

b Mt 26:59

c Jes 53:7,8
Da 9:26
Flp 2:8

Tweede kol.

a Han 21:8

HFST. 9

b Han 8:3
Han 22:4
Han 26:10,11Ga 1:13
1Ti 1:12,13c Han 11:26
Han 22:4d Han 22:6-11
Han 26:13-18

e 1Kor 15:8

f Mt 25:45

g Han 22:9

h Han 13:11

i Han 22:12

j Han 21:39
Han 22:3

en hy het deur die gebied gegaan en aangehou om die goeie nuus aan al die stede bekend te maak totdat hy in Sesare'a gekom het.^a

9 Maar Saulus, wat nog steeds die dissipels van die Here gedreig het^b en hulle wou vermoor, het na die hoëpriester toe gegaan **2** en hom gevra om briewe vir die sinagogs in Damaskus te skryf, sodat hy enigiemand wat hy gevind het wat aan Die Weg behoort,^c mans en vrouens, in boeie kon sit en hulle na Jerusalem kon bring.

3 Toe hy naby Damaskus gekom het, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom geskyn,^d **4** en hy het op die grond geval en gehoor hoe 'n stem vir hom vra: “Saul, Saul, hoekom vervolg jy my?” **5** Hy het gevra: “Wie is u, Here?” Die stem het gesê: “Ek is Jesus,^e die een wat jy vervolg.^f **6** Maar staan op en gaan in die stad in, en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.” **7** Die mans wat saam met hom gereis het, was so verbaas dat hulle niks kon sê nie, want hulle het 'n stem gehoor, maar niemand gesien nie.^g **8** Saulus het toe van die grond af opgestaan, en al was sy oë oop, kon hy niks sien nie. Hulle het hom dus aan die hand gelei en hom in Damaskus ingebring. **9** En hy het drie dae lank niks gesien nie,^h en hy het ook niks geëet of gedrink nie.

10 In Damaskus was daar 'n dissipel met die naam Ananiⁱas,ⁱ en die Here het in 'n visioen vir hom gesê: “Ananiⁱas!” Hy het gesê: “Hier is ek, Here.” **11** Die Here het vir hom gesê: “Staan op, gaan na die straat wat Reguit genoem word en soek na 'n man met die naam Saulus, van Tarsus,^j by die huis van Judas. Want kyk! hy is

besig om te bid, **12** en hy het in 'n visioen gesien hoe 'n man met die naam Anani'as inkom en sy hande op hom lê sodat hy weer kan sien.”^a **13** Maar Anani'as het geantwoord: “Here, ek het by baie mense van hierdie man gehoor, van al die skadelike dinge wat hy aan u heiliges in Jerusalem gedoen het. **14** En nou het hy toestemming van die hoofpriesters om almal wat u naam aanroep, te arresteer.”^{*b}

15 Maar die Here het vir hom gesê: “Gaan, want ek het hierdie man gekies^c om die nasies sowel as konings^d en die Israëliete van my naam te vertel.^e **16** Want ek sal vir hom wys wat hy alles vir my naam moet ly.”^f

17 Toe het Anani'as vertrek en in die huis ingegaan, en hy het sy hande op hom gelê en gesê: “Saul, broer, die Here Jesus wat op die pad hierheen aan jou verskyn het, het my gestuur sodat jy weer kan sien en met heilige gees gevul kan word.”^g

18 En onmiddellik het iets wat soos skubbe gelyk het, van sy oë afgeval, en hy kon weer sien. Hy het toe opgestaan en is gedoop, **19** en hy het iets geëet en weer krag gekry.

Hy het 'n paar dae lank by die dissipels in Damaskus gebly,^h **20** en hy het onmiddellik in die sinagoges begin preek oor Jesus, dat hy die Seun van God is. **21** Maar almal wat na hom geluister het, was verbaas en het gevra: “Is dit nie die man wat Jesus se volgelinge* in Jerusalem swaar vervolgd het nie? Het hy nie hierheen gekom om hulle te arresteer en hulle na die hoofpriesters te vat[#] nie?”ⁱ

9:14 *Lett. “te bind; in boeie te sit”.
9:21 *Lett. “dié wat hierdie naam aanroep”. #Lett. “om hulle geboeid na die hoofpriesters te lei”.

HFST. 9

a Han 9:17

b Han 9:1, 2

c Han 13:2
Ro 1:1
1Ti 1:12

d Han 26:1
Han 27:24

e Ro 1:5
Ga 2:7
1Ti 2:7

f Han 20:22, 23
Han 21:11
2Kor 11:23-28
Kol 1:24
2Ti 1:12

g Han 22:12, 13

h Han 26:19, 20

i Han 8:3
Ga 1:13, 23

j Han 9:1, 2

Tweede kol.

a Han 17:2, 3

b Han 20:2, 3
Han 23:12
2Kor 11:23

c 2Kor 11:32, 33

d Ga 1:18

e Han 4:36, 37

f Han 9:3, 4
1Kor 9:1

g Han 9:19, 20

h 2Kor 11:23, 26

i Han 11:25
Ga 1:21

j Han 8:1

k Joh 14:16

22 Maar Saulus het al hoe kragtiger geword in sy bediening, en die Jode wat in Damaskus gewoon het, is uit die veld geslaan, omdat hy logies bewys het dat Jesus die Christus is.^a

23 Ná 'n hele paar dae het die Jode planne beraam om hom te vermoor,^b **24** maar Saulus het hiervan uitgevind. Hulle het die poorte ook dag en nag dopgehou sodat hulle hom kon doodmaak. **25** Daarom het sy dissipels hom geneem en hom in die nag deur 'n opening in die muur in 'n mandjie laat sak.^c

26 Toe hy in Jerusalem aankom,^d het hy by die dissipels probeer aansluit, maar hulle almal was bang vir hom, want hulle het nie geglo dat hy 'n dissipel is nie. **27** Toe het Bar'nabas^e hom kom help en hom na die apostels toe gevat, en hy het vir hulle in besonderhede vertel hoe hy die Here op die pad gesien het^f en dat hy met hom gepraat het en dat hy in Damaskus moedig in die naam van Jesus gepreek het.^g **28** Hy het by hulle gebly en het vryelik in Jerusalem rondbeweeg en het moedig in die naam van die Here gepreek. **29** Hy het met die Griekssprekende Jode gepraat en met hulle geredeneer, maar hulle het hom probeer doodmaak.^h **30** Toe die broers daarvan uitvind, het hulle hom na Sesare'a geneem en hom daarna na Tarsus gestuur.ⁱ

31 Toe het die gemeente deur die hele Jude'a en Galile'a en Samari'a/ 'n tydperk van vrede ingegaan, en hulle is opgebou. Die gemeente het getoon dat hulle Jehovah* vrees en in die vertroosting van die heilige gees lewe,^k en hulle het bly vermeerder.

9:31 *Sien Aanh. A5.

32 En terwyl Petrus deur die hele gebied gereis het, het hy ook na die heiliges gegaan wat in Lidda^a gewoon het. **33** Daar het hy 'n man met die naam Ene^aas gevind, wat al agt jaar lank plat op sy bed gelê het, want hy was verlam. **34** Petrus het vir hom gesê: "Ene^aas, Jesus Christus maak jou gesond.^b Staan op en maak jou bed op."^c En hy het onmiddellik opgestaan. **35** Toe almal in Lidda en op die Vlakte van Saron hom gesien het, het hulle hulle tot die Here bekeer.

36 In Joppe was daar 'n dissipel met die naam Tabi^ata. (Tabi^ata word as "Dorkas"^{**} vertaal.) Sy het altyd goeie dinge vir ander gedoen en die armes gehelp.[#] **37** Maar in daardie dae het sy siek geword en gestorf. Toe het hulle haar gewas en haar in 'n bo-kamer neergelê. **38** Omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus in daardie stad is, het hulle twee mans na hom toe gestuur om vir hom te sê: "Kom asseblief so gou as moontlik na ons toe." **39** Toe het Petrus opgestaan en saam met hulle gegaan, en toe hy daar aankom, het hulle hom na die bo-kamer geneem. Daar het al die weduwees by hom kom staan terwyl hulle gehuil het en vir hom baie van die klere^{*} gewys het wat Dorkas gemaak het toe sy nog by hulle was. **40** Petrus het toe almal uitgestuur,^d op sy knieë gegaan en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabi^ata, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak, en toe sy Petrus sien,

9:36 *Die Griekse naam Dorkas en die Aramese naam Tabita beteken albei "wildsbok". #Of "genadegawes gemaak". **9:39** *Of "onder- en bo-kle-re".

HFST. 9

a Han 9:38

b Mt 10:8
Han 4:9, 10

c Han 3:6

d Lu 8:51

Tweede kol.

a Mt 9:24, 25
Lu 7:14, 15
Joh 11:43, 44

b 1Kn 17:23

c Joh 11:44, 45

d Han 10:6, 32

HFST. 10

e Han 3:1

f Ps 65:2

het sy regop gesit.^a **41** Hy het sy hand vir haar gegee en haar opgehelp, en hy het die heiliges en die weduwees geroep en vir hulle gewys dat sy lewe.^b **42** Almal in Joppe het daarvan gehoor, en baie het in die Here begin glo.^c **43** Hy het 'n hele paar dae in Joppe gebly by 'n leerlooier^{*} met die naam Simon.^d

10 Daar was 'n man in Sesa-re^a met die naam Kornelius, 'n militêre offisier^{*} in die Italiaanse afdeling.[#] **2** Hy was 'n godvresende man, en hy en almal in sy huis het God aanbid, en hy het baie geskenke aan die armes^{*} gegee en voortdurend smeekbede tot God gedoen. **3** Omtrent die negende uur^{*e} van die dag het hy duidelik in 'n visioen gesien hoe 'n engel van God na hom toe kom en vir hom sê: "Kornelius!" **4** Kornelius het bang na hom gekyk en gevra: "Wat is dit, Here?" Hy het vir hom gesê: "God het jou gebede gehoor en gesien dat jy geskenke aan die armes^{*} gee.^f **5** Stuur dan nou mans na Joppe en laat haal 'n man met die naam Simon, wat ook Petrus genoem word. **6** Hierdie man bly as 'n gas by Simon, 'n leerlooier,^{*} wat 'n huis by die see het." **7** Onmiddellik nadat die engel wat met hom gepraat het, daar weg is, het hy twee van sy huisknegte geroep, sowel as 'n godvresende soldaat uit dié wat altyd by hom was, **8** en hy het hulle alles vertel en hulle na Joppe gestuur.

9:43; 10:6 *Iemand wat leer uit dier- velle maak. **10:1** *Of "'n centurio", d.w.s. 'n bevelvoerder oor 100 soldate. #Of "kohort", d.w.s. 'n Romeinse militêre afdeling van 600 soldate. **10:2** *Of "genadegawes aan die volk". **10:3** *D.w.s. omtrent 15:00. **10:4** *Of "genadegawes".

9 Die volgende dag, terwyl hulle verder gereis het en naby die stad gekom het, het Petrus omtrent die sesde uur* na die dak opgegaan om te bid. **10** Maar hy het baie honger geword en wou eet. Terwyl hulle die maaltyd voorberei het, het hy 'n visioen gehad^a **11** en gesien dat die hemel oop is en dat iets* neerdaal wat lyk soos 'n groot linnelaken wat aan sy vier punte op die aarde laat sak word. **12** Daarin was allerhande diere met vier pote en reptiele* en voëls. **13** Toe het 'n stem vir hom gesê: "Staan op, Petrus, slag en eet!" **14** Maar Petrus het gesê: "Nee, nooit nie, Here, want ek het nog nooit iets geëet wat onrein of onheilig is nie."^b **15** Die stem het weer met hom gepraat, 'n tweede keer: "Hou op om die dinge wat God gereinig het, onrein te noem." **16** Dit het 'n derde keer gebeur, en die voorwerp wat soos 'n laken gelyk het, is onmiddellik na die hemel opgeneem.

17 Terwyl Petrus nog dronkgeslaan was oor wat die visioen tog kon beteken, het die mans wat deur Kornelius gestuur is, by die poort gestaan. Hulle het vroeër gevra waar Simon se huis is.^c **18** Hulle het uitgeroep en gevra of Simon, wat ook Petrus genoem is, as 'n gas daar bly. **19** Terwyl Petrus nog oor die visioen gedink het, het die gees^d gesê: "Kyk! Drie mans soek jou. **20** Staan dus op, gaan ondertoe en gaan saam met hulle, en moet glad nie twyfel nie, want ek het hulle gestuur." **21** Toe het Petrus afgestaan na die mans toe en gesê: "Hier is ek, die een na wie jul-

10:9 *D.w.s. omtrent 12:00. 10:11 *Lett. "die een of ander soort voorwerp". 10:12 *Of "kruipende diere".

HFST. 10

a Han 11:5-10

b Le 11:4

Le 11:13-20

Le 20:25

De 14:3, 19

Ese 4:14

c Han 11:11

d Han 13:2

Han 15:28

Han 16:6

Han 20:23

Tweede kol.

a Han 10:1

b Lu 4:8

Han 14:12-15

Op 19:10

Op 22:8, 9

c Joh 18:28

d Han 10:45

Ef 3:5, 6

le soek. Hoekom is julle hier?"

22 Hulle het gesê: "Kornelius,^a 'n militêre offisier wat regverdig is en God vrees en 'n goeie reputasie onder die hele Joodse nasie het, het deur 'n heilige engel 'n opdrag van God gekry om u na sy huis te laat kom en te hoor wat u te sê het." **23** Hy het hulle dus ingenooi en hulle as sy gaste by hom laat bly.

Die volgende dag het hy opgestaan en saam met hulle gegaan, en van die broers uit Joppe het ook gegaan. **24** Die dag daarna het hy in Sesaréa ingegaan. Kornelius het hulle natuurlik verwag en het reeds sy familieleden en goeie vriende bymekaar geroep. **25** Toe Petrus inkom, het Kornelius na hom toe gegaan, voor sy voete neergeval en aan hom eer bewys.* **26** Maar Petrus het hom opgehelp en gesê: "Staan op. Ek is ook net 'n mens."^b **27** Terwyl hy met hom gepraat het, het hy ingegaan en gesien dat daar baie mense bymekaar is. **28** Hy het vir hulle gesê: "Julle weet dat dit teen die wet is vir 'n Jood om met iemand van 'n ander ras te assosieer of na hom toe te gaan,^c maar God het vir my gewys dat ek geen mens onrein of onheilig moet noem nie."^d **29** Daarom het ek gekom sonder om beswaar te maak toe ek geroep is. Sê dan nou asseblief vir my hoekom julle my laat kom het."

30 Toe het Kornelius gesê: "Vier dae gelede, op hierdie selfde uur, die negende uur,* het ek in my huis gebid. Op daardie oomblik het 'n man in blink kleure voor my gestaan **31** en gesê: 'Kornelius, God het jou gebed gehoor en het gesien dat

10:25 *Of "voor hom neergebuig".

10:30 *D.w.s. omtrent 15:00.

Hy geskenke aan die armes* gee. **32** Stuur dan iemand na Joppe en laat Simon roep, wat ook Petrus genoem word. Hierdie man is 'n gas in die huis van Simon, 'n leerlooier,* by die see.^a **33** Ek het u dus dadelik laat roep, en u was gaaf genoeg om hierheen te kom. En nou is ons almal hier voor God teenwoordig om alles te hoor wat Jehovah* u beveel het om te sê."

34 Toe het Petrus begin praat en gesê: "Nou verstaan ek werklik dat God nie partydig is nie.^b **35** In elke nasie is die mens wat hom vrees en doen wat reg is, vir hom aanvaarbaar.^c **36** Hy het 'n boodskap na die Israëliete gestuur om die goeie nuus van vrede aan hulle bekend te maak^d deur Jesus Christus, wat die Here van almal is.^e **37** Julle weet waaroor daar in die hele Jude'a gepraat is (dit het in Galile'a^f begin ná die doop wat Johannes verkondig het): **38** Dat Jesus, wat van Na'saret was, deur God met heilige gees^g en krag gesalf is en dat hy deur die land gegaan het en goeie dinge gedoen het en almal gesond gemaak het wat deur die Duiwel onderdruk is,^h want God was met hom.ⁱ **39** En ons is getuies van alles wat hy in die land van die Jode en in Jerusalem gedoen het, maar hulle het hom doodgemaak deur hom aan 'n paal* te hang. **40** God het hom op die derde dag opgewek^j en toegelaat dat hy aan mense verskyn,* **41** nie aan die hele volk nie, maar aan getuies wat vooraf deur God aangestel is, aan ons, wat saam met hom geëet en gedrink het

10:31 *Of "genadegawes". **10:32** *Iemand wat leer uit diervelle maak. **10:33** *Sien Aanh. A5. **10:39** *Of "boom". **10:40** *Of "openbaar gemaak word".

HFST. 10

a Han 9:43

b De 10:17
2Kf 19:7
Ro 2:11

c Ro 2:13
1Kor 12:13
Ga 3:28

d Jes 52:7
Na 1:15

e Mt 28:18
Ro 14:9
Op 19:11, 16

f Lu 4:14

g Jes 11:2
Jes 42:1
Jes 61:1
Mt 3:16

h Lu 13:16

i Joh 3:1, 2

j Jon 1:17
Jon 2:10
Han 2:23, 24

Tweede kol.

a Lu 24:30, 31
Joh 21:13, 14

b Mt 28:19, 20
Han 1:8

c Han 17:31
Ro 14:9
2Kor 5:10
2Ti 4:1
1Pe 4:5

d Lu 24:27
Op 19:10

e Jes 53:11
Jer 31:34
Da 9:24

f Han 4:31
Han 8:14, 15

g Han 2:1, 4
Han 19:6

h Mt 3:11
Han 8:36
Han 11:17

i Mt 16:19
Han 2:38

HFST. 11

j Han 10:45
Ga 2:12

nadat hy uit die dood opgestaan het.^a **42** Hy het ons ook beveel om vir die volk te preek en om deeglik te getuig^b dat dit die een is wat deur God aangestel is om regter van die lewendes en die dooies te wees.^c **43** Al die profete het van hom getuig^d en gesê dat die sondes van elkeen wat geloof in hom stel, deur sy naam vergewe sal word."^e

44 Terwyl Petrus nog hieroor gepraat het, het die heilige gees op almal gekom wat die woord gehoor het.^f **45** En die gelowiges* wat saam met Petrus gekom het, manne wat almal besny was, was verbaas omdat die vrye gawe van die heilige gees ook op mense van die nasies uitgestort word. **46** Want hulle het gehoor hoe hulle in vreemde tale praat en God loof.^g Toe het Petrus gevra: **47** "Kan enigiemand keer dat hierdie mense in water gedoop word^h noudat hulle net soos ons die heilige gees ontvang het?" **48** Daarna het hy beveel dat hulle in die naam van Jesus Christus gedoop moet word.ⁱ Toe het hulle hom gevra om 'n paar dae daar te bly.

11 Die apostels en die broers wat in Jude'a was, het gehoor dat mense van die nasies ook die woord van God aanvaar het. **2** En toe Petrus na Jerusalem gekom het, het dié wat wou hê dat mense besny moet word,^j hom begin kritiseer* **3** en gesê: "Jy het in die huis van mans ingegaan wat nie besny is nie en saam met hulle geëet." **4** Toe het Petrus vir hulle vertel presies wat gebeur het. Hy het gesê:

5 "Ek het in die stad Joppe gebid, en ek het in 'n visioen

10:45 *Of "getroues". **11:2** *Of "met hom begin stry".

iets* gesien neerdaal wat lyk soos 'n groot linnelaken wat aan sy vier punte uit die hemel laat sak word, en dit het tot reg by my gekom.^a **6** Toe ek mooi daarin kyk, het ek diere met vier pote, wilde diere, reptiele* en voëls gesien. **7** 'n Stem het ook vir my gesê: 'Staan op, Petrus, slag en eet!' **8** Maar ek het gesê: 'Nee, nooit nie, Here, want ek het nog nooit iets wat onrein of onheilig is, in my mond gesit nie.' **9** Die tweede keer het die stem uit die hemel geantwoord: 'Hou op om die dinge wat God gereinig het, onrein te noem.' **10** Dit het 'n derde keer gebeur, en alles is weer na die hemel opgetrek. **11** En op daardie oomblik het daar drie mans by die huis gestaan waar ons gebly het. Hulle is van Sesare'a af na my toe gestuur.^b **12** Toe het die gees vir my gesê om saam met hulle te gaan en glad nie te twyfel nie. Maar hierdie ses broers het ook saam met sy gegaan, en ons het in die man se huis ingegaan. **13** "Hy het vir ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het, wat gesê het: 'Stuur mans na Joppe en laat roep Simon, wat ook Petrus genoem word,^c **14** en hy sal vir jou sê hoe jy en almal in jou huis gered kan word.' **15** Maar toe ek begin praat, het die heilige gees oor hulle gekom, net soos dit in die begin oor ons gekom het.^d **16** Toe het ek onthou dat die Here altyd gesê het: 'Johannes het met water gedoop,^e maar julle sal met heilige gees gedoop word.'^f **17** God het dieselfde vrye gawe aan hulle gegee wat hy aan ons gegee het wat in die Here Jesus Christus

- HFST. 11
- a Han 10:10-16
- b Han 10:17-20
- c Han 10:30-33
- d Han 2:1, 4
Han 10:44, 45
- e Mt 3:11
Lu 3:16
Han 1:5
- f Jl 2:28
Joh 1:33
Han 2:17
- Tweede kol.
- a Han 10:47
- b Jes 11:10
Han 17:30
Ro 10:12
Ro 15:8, 9
- c Han 8:1
- d Mt 10:5, 6
- e Han 2:47
Han 9:35
- f Han 4:36, 37
- g Han 13:43
Han 14:21, 22
- h Han 2:47
Han 4:4
Han 5:14
Han 9:31
- i Han 21:39

igelo het. Wie is ek dan om in God se pad te staan?"^{*a}

18 Toe hulle hierdie dinge hoor, het hulle nie meer beswaar gemaak nie,* en hulle het God verheerlik en gesê: "So het God dan ook mense van die nasies die kans gegee om berou te toon sodat hulle die lewe kan ontvang."^b

19 Toe het dié wat verstrooi is^c deur die vervolging wat as gevolg van Stefa'nus ontstaan het, tot by Feni'sië, Siprus en Antio'gië gegaan, maar hulle het die woord net aan die Jode verkondig.^d **20** Party van die mans onder hulle wat van Siprus en Sire'ne was, het egter na Antio'gië gekom en met die Griekssprekendes begin praat en die goeie nuus van die Here Jesus bekend gemaak. **21** En die hand van Jehovah* was met hulle, en baie van hulle het gelowiges geword en hulle tot die Here bekeer.^e

22 Die gemeente in Jerusalem het die verslag oor hulle gehoor, en hulle het Bar'nabas^f tot by Antio'gië uitgestuur. **23** Toe hy daar aankom en die onverdiende goedheid van God sien, was hy baie bly en het hy hulle almal begin aanmoedig om met hulle hele hart aan die Here getrou te bly,^g **24** want hy was 'n goeie man en vol heilige gees en geloof. En 'n groot groep mense het in die Here begin glo.^h **25** Toe het hy na Tarsus gegaan om deeglik na Saulus te soek.ⁱ **26** Nadat hy hom gevind het, het hy hom na Antio'gië gebring. Hulle het 'n hele jaar lank saam met die gemeente bymekaargekom en 'n groot groep geleer, en dit was in An-

11:5 *Lett. "die een of ander soort voorwerp". 11:6 *Of "kruipende diere".

11:17 *Of "om God te verhinder". 11:18 *Lett. "stil geword". 11:21 *Sien Aanh. A5.

tio'gië dat die dissipels volgens God se wil vir die eerste keer Christene genoem is.^a

27 In daardie dae het profete^b van Jerusalem na Antio'gië gekom. **28** Een van hulle, met die naam A'gabus,^c het opgestaan en deur middel van die gees voorspel dat 'n groot hongersnood binnekort oor die hele aarde sou kom,^d wat toe in die tyd van Claudius plaasgevind het. **29** Toe het die dissipels besluit om iets* te stuur om die broers in Jude'a te help.^e Elkeen het bygedra volgens wat hy kon bekostig,^f **30** en hulle het dit gedoen en dit saam met Bar'nabas en Saulus na die ouermanne gestuur.^g

12 In daardie tyd het koning Herodes party lede van die gemeente begin mishandel.^h **2** Hy het Jakobus, die broer van Johannes,ⁱ met die swaard doodgemaak.^j **3** Toe hy sien dat dit die Jode bly maak, het hy verder gegaan en Petrus gearresteer. (Dit was in die dae van die Ongesuurde Broede.)^k **4** Hy het hom gearrester en in die tronk gegooi^l en hom oorgelewer aan vier groepe van vier soldate elk om hom te bewaak. Hy was van plan om hom ná die Pasga voor die volk te bring.* **5** Terwyl Petrus in die tronk was, het die gemeente intens vir hom tot God bly bid.^m

6 Die nag voordat Herodes Petrus wou uitbring, het Petrus tussen twee soldate geslaap. Hy was met twee kettings vasgebond, en daar was wagte voor die deur wat die tronk bewaak het. **7** Maar kyk! Jehovah* se engel het daar gestaan,ⁿ en 'n lig het in die tronksel geskyn.

11:29 *Of "iets vir noodleniging".
12:4 *Of "in die openbaar te verhoor".
12:7, 11 *Sien Aanh. A5.

HFST. 11

a Han 9:2

b 1Kor 12:28
Ef 4:11

c Han 21:10, 11

d Mt 24:7

e Ga 2:10

f 2Kor 8:12

g Han 12:25

HFST. 12

h Joh 15:20

i Mt 4:21

j Mt 20:20-23
Lu 11:49k Eks 12:15
Eks 23:15
Le 23:6

l Lu 21:12

m 2Kor 1:11

n Ps 34:7
Heb 1:7, 14

Tweede kol.

a Han 5:18, 19

b 2Pe 2:9

c Han 13:5
Han 15:37, 38
Kol 4:10

Hy het Petrus wakker gemaak deur hom op die sy te slaan en het gesê: "Staan gou op!" En die kettings het van sy hande afgeval.^a **8** Die engel het vir hom gesê: "Trek jou klere en jou sandale aan." Hy het dit gedoen. Laastens het hy vir hom gesê: "Trek jou bo-kleed aan, en volg my." **9** En hy het uitgegaan en hom gevolg, maar hy het nie geweet dat die dinge wat die engel doen, regtig gebeur nie. Om die waarheid te sê, hy het gedink dat hy 'n visioen sien. **10** Toe hulle verby die eerste en die tweede plek gaan waar die wagte gestaan het, het hulle by die ysterpoort gekom wat na die stad lei, en dit het vanself oopgegaan. Nadat hulle uitgegaan het, het hulle in die straat afgegaan, en onmiddellik het die engel hom verlaat. **11** Petrus het besef wat aan die gang is en het gesê: "Nou weet ek vir seker dat Jehovah* sy engel gestuur het en my gered het uit Herodes se hand en van alles wat die Jode gedink het met my sal gebeur."^b

12 Nadat hy dit besef het, het hy na die huis van Maria gegaan, die ma van Johannes, wat ook Markus genoem is.^c 'n Hele paar was daar bymekaar en was besig om te bid. **13** Toe hy aan die poortdeur klop, het 'n diensmeisie met die naam Rode gekom om te hoor wie daar is. **14** Toe sy Petrus se stem herken, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar na binne gehardloop het en gesê het dat Petrus voor die poort staan. **15** Hulle het vir haar gesê: "Jy is mal." Maar sy het aangedring dat dit so is. Hulle het begin sê: "Dit is sy engel." **16** Maar Petrus het aangehou klop. Toe hulle die deur oopmaak, het hulle hom gesien

en was hulle verbaas. **17** Maar hy het vir hulle beduie om stil te bly en het vir hulle vertel presies hoe Jehovah* hom uit die tronk gebring het, en hy het gesê: "Vertel hierdie dinge vir Jakobus^a en die broers." Toe het hy uitgegaan en êrens anders heen gereis.

18 Toe dit dag word, was die soldate geskok en het hulle gewonder wat met Petrus gebeur het. **19** Herodes het deeglik na hom gesoek, en toe hy hom nie kon kry nie, het hy die wagte ondervra en beveel dat hulle weggelei moet word om gestraf te word.^b Toe het hy van Jude'a af na Sesare'a gegaan en 'n ruk daar gebly.

20 Herodes was woedend vir* die mense van Tirus en Sidon. Toe het hulle met een doel na hom toe gekom, en nadat hulle Blastus oorreed het, wat in beheer van die koning se huishouding[#] was, het hulle begin vra om vrede te maak, omdat die koning se land hulle land van kos voorsien het. **21** Op 'n vasgestelde dag het Herodes koninklike klere aangetrek en op die regterstoel gaan sit en vir hulle 'n openbare toespraak begin hou. **22** Toe het die gehoor geskree: "'n God se stem en nie 'n mens s'n nie!" **23** Onmiddellik het die engel van Jehovah* hom getref omdat hy nie eer aan God gegee het nie, en hy is deur wurms opgeëet en het gesterf.

24 Maar die woord van Jehovah* het bly groei en versprei.^c

25 Nadat Bar'nabas^d en Saulus klaar was met hulle werk om die broers in Jerusalem te help,^e het hulle teruggekeer en Johannes,^f wat ook Markus genoem is, saamgeneem.

12:17, 23, 24; 13:2 *Sien Aanh. A5. 12:20 *Of "in 'n veglustige bui teen".
[#]Of "slaapkamer".

HFST. 12
a Mt 13:55
Han 15:13
Han 21:18
1Kor 15:7
Ga 1:19
Ga 2:9

b Han 16:27

c Han 6:7
Han 19:20
Kol 1:6

d Han 4:36, 37

e Han 11:29, 30

f Han 13:5
Han 15:37, 38

Tweede kol.

HFST. 13
a 1Kor 12:28
Ef 4:11, 12

b Han 9:15

c 1Ti 2:7

d Han 12:25

13 In Antio'gië was daar profete en onderrigters in die plaaslike gemeente:^a Bar'nabas, Si'meon, wat Niger genoem is, Lu'cius van Sire'ne, Mana'en, wat saam met Herodes, die distriksheerser, opleiding ontvang het, en Saulus. **2** Terwyl hulle Jehovah* gedien het[#] en gevas het, het die heilige gees gesê: "Sonder Bar'nabas en Saulus vir my af^b sodat hulle die werk kan doen waarvoor ek hulle geroep het."^c **3** Nadat hulle gevas en gebid het, het hulle hulle hande op hulle gelé en hulle weggestuur.

4 Toe het hierdie manne, wat deur die heilige gees uitgestuur is, na Seleu'kië gegaan, en van daar af het hulle weggeseil na Siprus toe. **5** Toe hulle in Sa'lamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode begin verkondig. Hulle het ook Johannes as helper gehad.^d

6 Toe hulle deur die hele eiland tot by Pafos gegaan het, het hulle 'n Joodse man met die naam Bar-Jesus ontmoet. Hy was 'n towenaar en 'n valse profeet. **7** Hy was by die prokonsul* Ser'gius Paulus, 'n intelligente man. Hy het Bar'nabas en Saulus na hom toe laat roep omdat hy gretig was om die woord van God te hoor. **8** Maar E'limas* die towenaar (dit is wat sy naam beteken) het hulle begin teëstaan en het probeer keer dat die prokonsul geloof in die Here stel. **9** Toe het heilige gees oor Saulus, wat ook Paulus genoem is, gekom, en hy het reguit na E'limas gekyk **10** en gesê: "O man wat vol allerhande

13:2 [#]Of "in die openbaar gedien het".
13:7 *D.w.s. die Romeinse goewerneur van 'n provinsie. Sien Woordelys.
13:8 *Dieselfde persoon wat in vs. 6 Bar-Jesus genoem word.

bedrog en allerhande slegtheid is, jou kind van die Duiwel,^a jou vyand van alles wat regverdig is, hou op om die regte weë van Jehovah* se verdraai. **11** Kyk! Jehovah* se hand is op jou, en jy sal blind word en die sonlig 'n tyd lank nie sien nie." Onmiddellik het 'n dik mis en duisternis oor hom gekom, en hy het rondgegaan en na iemand gesoek om hom aan die hand te lei. **12** Toe die prokonsul sien wat gebeur het, het hy 'n gelowige geword, want hy was verstom oor wat hy omtrent Jehovah* geleer het.

13 Paulus en sy metgeselle het met 'n skip van Pafos af na Perge in Pamfi'lië gegaan. Maar Johannes^b het hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer.^c **14** Hulle het egter van Perge af na Antio'gië in Pisi'dië gegaan. En hulle het op die Sabbatdag in die sinagoge ingegaan^d en daar gaan sit. **15** Nadat daar uit die Wet^e en die boeke van die profete voorgelees is, het die hoofbeamptes van die sinagoge vir hulle die volgende boodskap gestuur: "Manne, broers, as julle enige woorde kan sê om die volk aan te moedig, sê dit." **16** Toe het Paulus opgestaan en met sy hand beude in gesê:

"Manne, Israëliete en die res van julle wat God vrees, luister. **17** Die God van hierdie volk Israel het ons voorvaders uitgekies, en hy het die volk 'n kragtige nasie gemaak toe hulle as vreemdelinge in Egipte gewoon het en het hulle met 'n sterk arm daaruit gelei.^f **18** En hy het hulle omtrent 40 jaar lank in die wildernis verdra.^g **19** Nadat hy sewe nasies in die land Kanaän vernietig het, het hy hulle land as 'n erfdeel aan ons

HFST. 13

a Joh 8:44

b Han 12:12

c Han 15:37, 38

d Han 17:1, 2
Han 18:4
Han 19:8

e Han 15:21

f Eks 6:1, 6
De 7:6, 8g Eks 16:35
Nu 14:33, 34

Tweede kol.

a De 7:1
Jos 14:1, 2b Rig 2:16
1Sa 3:20

c 1Sa 8:4, 5

d 1Sa 10:21
1Sa 11:15e 1Sa 16:12, 13
Ps 89:20

f 1Sa 16:1

g 1Sa 13:13, 14

h 2Sa 7:12
Jes 11:1
Lu 1:31, 32
Lu 1:68, 69

i Mt 3:1, 6

j Mt 3:11
Lu 3:16k Mt 10:5, 6
Lu 24:47, 48

l Jes 53:7, 8

m Mt 26:59, 60
Lu 23:13-15
Joh 19:4n Mt 27:22, 23
Joh 19:15

voorvaders gegee.^a **20** Dit het alles oor sowat 450 jaar gebeur.

"Daarna het hy vir hulle rigters gegee tot die tyd van die profeet Samuel.^b **21** Maar toe het hulle daarop aangedring om 'n koning te hê,^c en God het Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin,^d vir 40 jaar aan hulle gegee. **22** Nadat hy hom verwyder het, het hy Dawid vir hulle as koning gegee,^e oor wie hy gesê het: 'Ek het Dawid, die seun van Isai,^f gevind, 'n man na my hart.^g Hy sal alles doen wat ek wil hê.' **23** God het volgens sy belofte uit die nageslag* van hierdie man vir Israel 'n redder gebring, Jesus.^h **24** Voordat hy gekom het, het Johannes in die openbaar aan die hele volk Israel verkondig dat hulle gedoop moet word as 'n simbool van berou.ⁱ **25** Maar teen die einde van sy loopbaan het Johannes gesê: 'Wie dink julle is ek? Ek is nie hy nie. Maar kyk! ná my kom die Een wie se sandale ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie.'^j

26 "Manne, broers, julle wat die nakomelinge van Abraham is en die res van julle wat God vrees, die woord van hierdie redding is aan ons gestuur.^k **27** Want die inwoners van Jerusalem en hulle leiers het hom nie herken nie, maar toe hulle as regters opgetree het, het hulle die dinge vervul wat in die boeke van die profete gesê is^l en wat elke sabbat voorgelees word. **28** Al het hulle geen rede gevind dat hy die doodstraf moet ontvang nie,^m het hulle Pilatus gevra om hom te laat doodmaak.ⁿ **29** Toe hulle alles vervul het wat oor hom geskryf is, het hulle hom van

die paal* afgehaal en hom in 'n graf neergelê.^a **30** Maar God het hom uit die dood opgewek,^b **31** en hy het gedurende baie dae aan dié verskyn wat saam met hom van Galile'a af na Jerusalem gegaan het. Hierdie mense getuig nou oor hom aan die volk.^c

32 "Daarom vertel ons julle van die goeie nuus oor die belofte wat aan die voorvaders gemaak is. **33** God het dit heeltemal vir ons, hulle kinders, vervul deur Jesus op te wek,^d net soos daar in die tweede psalm geskryf is: 'Jy is my seun. Vandag het ek jou vader geword.'^e **34** En hy het die volgende gesê oor die feit dat Hy hom uit die dood opgewek het en hom 'n liggaam gegee het wat nooit sal ontbind nie: 'Ek sal aan julle die seëninge gee wat ek weens my lojale liefde aan Dawid belowe het. Hierdie belofte is betroubaar.'^f **35** Daarom sê dit ook in 'n ander psalm: 'U sal nie toelaat dat u lojale kneg ontbind nie.'^g **36** Maar Dawid het God gedurende sy leeftyd gedien.* Hy het gesterf,^h en sy liggaam het wel ontbind.^h **37** Aan die ander kant het die een wat deur God opgewek is, nie ontbind nie.'

38 "Laat dit dus aan julle bekend wees, broers, dat vergifnis van sondes deur middel van hierdie een aan julle verkondig word.ⁱ **39** Deur hom word almal wat glo, onskuldig verklaar van alle dinge waarvan die Wet van Moses^k julle nie onskuldig kon verklaar nie.^l **40** Sorg dus dat wat in die boeke van die profete gesê word, nie met jul-

13:29 *Of "boom". 13:36 *Of "die wil van God in sy geslag gedoen". ^aLet. "gaan slaap".

HFST. 13

a Mt 27:59, 60
Joh 19:40-42

b Mt 28:5, 6
Han 2:24

c Mt 28:16
Han 1:3
Han 3:15
1Kor 15:4-7

d Ro 1:4

e Ps 2:7
Heb 1:5
Heb 5:5

f Jes 55:3

g Ps 16:10
Han 2:31

h Han 2:29

i Han 2:27

j Lu 24:46, 47
Han 5:31
Han 10:43

k Heb 10:1

l Jes 53:11
Ro 3:28
Ro 5:18
Ro 8:3
Heb 7:19

Tweede kol.

a Hab 1:5

b Han 11:23
Han 14:21, 22

c Han 14:1, 2
Han 17:4, 5

d Mt 10:5, 6
Han 3:25, 26
Ro 1:16

e Lu 2:29-32
Han 18:5, 6
Ro 10:19

f Jes 49:6
Han 1:8

le gebeur nie: **41** 'Kyk daarna, julle spotters, en wees verbaas daaroor en sterf, want ek doen 'n werk in julle dae, 'n werk wat julle nooit sal glo nie, al vertel iemand julle alles daarom-trent.'^a

42 En toe hulle uitgaan, het die mense hulle gesmeek om die volgende Sabbat weer oor hierdie dinge te praat. **43** Ná die vergadering in die sinagoge het baie van die Jode en prose-liete wat God aanbid het, Paulus en Bar'nabas gevolg. Hulle twee het met hulle gepraat en hulle aangespoor om in die on-verdiende goedheid van God te bly.^b

44 Byna die hele stad het die volgende Sabbat bymekaar-gekom om die woord van Jehovah* te hoor. **45** Toe die Jode die skare sien, het hulle jaloes geword en Paulus weerspreek en sleg* gepraat oor die dinge wat hy gesê het.^c **46** Toe het Paulus en Bar'nabas moedig vir hulle gesê: "Die woord van God moes eers aan julle verkondig word.^d Maar omdat julle dit verwerp en dink dat julle nie waar-dig is om die ewige lewe te ont-vang nie, gaan ons nou na die nasies.^e **47** Want Jehovah* het vir ons gesê: 'Ek het jou as 'n lig vir die nasies aangestel sodat jy tot aan die eindes van die aarde 'n redding sal wees.'^f

48 Toe dié uit die nasies dit hoor, het hulle bly geword en gesê hoe wonderlik die woord van Jehovah* is, en almal wat die regte gesindheid vir die ewige lewe gehad het, het gelowiges geword. **49** En die woord van Jehovah* het deur die hele land versprei. **50** Maar die Jode het die belangrike godsdienstige

13:44, 47-49 *Sien Aanh. A5. 13:45 *Of "lasterlik".

vrouens en die belangrike manne van die stad opgesteek, en hulle het veroorsaak dat Paulus en Bar'nabas vervolgd word,^a en hulle het hulle uit hulle gebied gejaag. **51** Toe het hulle die stof van hulle voete teen hulle afgeskud en na Iko'nium gegaan.^b **52** En die dissipels is voortdurend met vreugde en heilige gees gevul.^c

14 En in Iko'nium het hulle saam in die sinagoge van die Jode ingegaan en so goed gepraat dat 'n groot groep Jode sowel as Grieke gelowiges geword het. **2** Maar die Jode wat nie geglo het nie, het die mense* van die nasies teen die broers opgesteek en hulle beïnvloed om die broers te haat.^d **3** Hulle het dus 'n tyd lank daar gebly en het moedig gepreek omdat Jehovah* hulle die gesag gegee het om dit te doen. Hy het die boodskap van sy onverdiende goedheid bevestig deur hulle in staat te stel om tekens en wonderwerke te doen.^e **4** Maar die mense van die stad was verdeeld. Party was vir die Jode, maar ander vir die apostels. **5** Die mense van die nasies sowel as die Jode en hulle leiers het probeer om hulle te mishandel en hulle met klippe te gooi.^f **6** Toe hulle daarvan uitvind, het hulle gevlug na die stede Likao'nië, Listra en Derbe en na die omliggende gebied.^g **7** Daar het hulle voortgegaan om die goeie nuus bekend te maak.

8 En in Listra het daar 'n man gesit wat verlam was in sy voete. Hy was van geboorte af kreupel en het nog nooit geloop nie. **9** Hierdie man het na Paulus geluister terwyl hy gepraat

14:2 *Of "die siele van die mense".
14:3 *Sien Aanhangsel A5.

HFST. 13

a Mt 23:34
Han 14:2, 19
Han 17:5

b Mt 10:14
Lu 9:5

c Mt 5:12

HFST. 14

d Han 13:45

e Han 19:11
Heb 2:3, 4

f Han 14:19

g Mt 10:23

Tweede kol.

a Mt 9:28

b Jes 35:6

c Han 28:3-6

d Han 10:25, 26

e Eks 20:11
Ps 146:6

f Han 17:30

g Han 17:26, 27
Ro 1:20

h Ps 147:8
Jer 5:24
Mt 5:45

i Ps 145:16

het. Paulus het reguit na hom gekyk en toe hy sien dat hy geloof het om gesond gemaak te word,^a **10** het hy met 'n harde stem gesê: "Staan regop, op jou voete." En hy het opgesprong en begin loop.^b **11** Toe die skare sien wat Paulus gedoen het, het hulle in Likao'nies uitgeroep: "Die gode het soos mense geword en het na ons toe neergedaald!"^c **12** En hulle het Bar'nabas Zeus begin noem, maar Paulus Hermes omdat hy die praatwerk gedoen het. **13** En die priester van Zeus, wie se tempel by die ingang van die stad was, het bulle en kranse* na die poorte gebring en wou saam met die skare offerandes bring.

14 Maar toe die apostels Bar'nabas en Paulus hiervan hoor, het hulle hulle klere geskeur en tussen die skare ingespring en uitgeroep: **15** "Manne, hoekom doen julle hierdie dinge? Ons is ook mense met dieselfde gebreke as julle.^d En ons maak die goeie nuus aan julle bekend sodat julle kan ophou om hierdie waardelose dinge te doen en die lewende God kan aanbid, wat die hemel en die aarde en die see en alles daarin gemaak het.^e **16** In vorige geslagte het hy al die nasies toegelaat om te doen wat hulle wil,^f **17** maar tog het hy getuienis oor homself gegee^g deur goeie dinge te doen. Hy het vir julle reën uit die hemel en vrugbare seisoene gegee,^h en hy het vir julle oorgenoeg voedsel en 'n hart vol blydschap gegee."ⁱ **18** Maar al het hulle hierdie dinge gesê, kon hulle die skare amper nie keer om offerandes aan hulle te bring nie.

14:13 *D.w.s. ringe van inmeekaargevlegte takkies of blomme.

19 Maar Jode van Antio'gië en Iko'nium het daar aangekom en die skare omgepraat,^a en hulle het Paulus met klippe gegooi en hom tot buite die stad gesleep, want hulle het gedink hy is dood.^b **20** Maar toe die dissipels rondom hom gaan staan, het hy opgestaan en in die stad ingegaan. Die volgende dag het hy saam met Bar'nabas na Derbe vertrek.^c **21** Nadat hulle die goeie nuus aan daardie stad bekend gemaak het en 'n hele paar dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Lистра, Iko'nium en Antio'gië. **22** Daar het hulle die dissipels* versterk^d en hulle aangemoedig om in die geloof te bly, en hulle het gesê: "Ons moet baie verdrukking deurmaak om in die Koninkryk van God in te gaan."^e **23** En hulle het in elke gemeente vir hulle ouermanne aangestel,^f en gebid en gevas^g en hulle in die sorg gelaat van Jehovah,* in wie hulle begin glo het.

24 Toe het hulle deur Pisi'dië gegaan en in Pamflië gekom,^h 25 en nadat hulle die woord in Perge bekend gemaak het, het hulle na Atta'lië gegaan. **26** Daarvandaan het hulle na Antio'gië geseil, waar die broers voorheen gebid het dat God onverdiende goedheid aan hulle betoon vir die werk wat hulle nou voltooi het.ⁱ

27 Nadat hulle daar aangekom het en die gemeente byme-kaargeroep het, het hulle vertel van die baie dinge wat God deur middel van hulle gedoen het en dat hy die deur vir die nasies oopgemaak het sodat hulle geloof kan betoon.^j **28** Toe het hulle 'n hele ruk by die dissipels gebly.

14:22 *Of "die siele van die dissipels".
14:23 *Sien Aanh. A5.

- HFST. 14
- a Han 17:13
- b 2Kor 11:25
- c Han 16:1
- d Han 11:22, 23
- e Mt 10:38
Joh 15:19
Ro 8:17
1Te 3:4
- f Tit 1:5
- g Han 13:2, 3
- h Han 13:13
- i Han 13:1, 2
- j Han 11:18
- Tweede kol.
- HFST. 15
- a Ge 17:9, 10
Eks 12:48
Le 12:2, 3
- b Ga 2:1
- c Eks 12:48
Han 11:2, 3
- d Han 10:34, 35
Han 11:16, 17
- e 1Kr 28:9
Jer 11:20
- f Han 10:44, 45
Han 11:15

15 Party manne het van Jude'a af gekom en die broers begin leer: "As julle nie volgens die gebruik van Moses besny word nie,^a kan julle nie gered word nie." **2** Maar Paulus en Bar'nabas was daarteen gekant, en dit het tot baie onenigheid en 'n groot bespreking gelei. Daarom is daar besluit dat Paulus en Bar'nabas en van die ander na die apostels en ouermanne in Jerusalem^b moet gaan in verband met hierdie saak.

3 Nadat die gemeente 'n ent saam met hulle gegaan het, het hierdie manne verder gegaan deur Feni'sië sowel as Samari'a en in besonderhede vertel hoe die mense van die nasies hulle bekeer het, wat tot groot vreugde onder al die broers gelei het.

4 Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle vriendelik ontvang deur die gemeente en die apostels en die ouermanne, en hulle het vertel van al die dinge wat God deur middel van hulle gedoen het. **5** Maar party lede van die sekte van die Fariseërs wat gelowiges geword het, het opgestaan en gesê: "Hulle moet besny word en beveel word om die Wet van Moses te gehoorsaam."^c

6 Toe het die apostels en die ouermanne bymekeargekom om die saak te ondersoek. **7** Ná 'n lang, intense bespreking het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: "Manne, broers, julle weet goed dat God my lank gelede onder julle uitgekies het sodat mense van die nasies die woord van die goeie nuus uit my mond sou hoor en glo.^d **8** En God, wat die hart ken,^e het bewys dat hy hulle aanvaar deur die heilige gees aan hulle te gee,^f net soos hy dit ook aan ons gegee het. **9** En hy het glad nie enige

onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie,^a maar hy het hulle harte deur geloof gereinig.^b

10 Hoekom toets julle God dan nou deur 'n juk op die nek van die dissipels te sit^c wat nie ons of ons voorvaders kon dra nie?^d

11 Nee, ons glo dat ons op dieselfde manier as hulle deur die onverdiende goedheid van die Here Jesus gered word."^e

12 Toe het die hele groep stil geword, en hulle het begin luister hoe Bar'nabas en Paulus vertel van al die tekens en wonderwerke wat God deur middel van hulle onder die nasies gedoen het. **13** Nadat hulle klaar gepraat het, het Jakobus gesê: "Manne, broers, luister na my.

14 Si'meon^f het verduidelik hoe God vir die eerste keer aan die nasies gedink het sodat hy uit hulle 'n volk vir sy naam kan neem.^g **15** En die woorde van die profete stem hiermee ooreen, net soos daar geskryf is: **16** 'Ná hierdie dinge sal ek terugkeer en die tent* van Dawid, wat ineengestort het, weer oprig, en ek sal dit^h herbou en herstel, **17** sodat die oorblywende mense Jehovah* opreg kan dienⁱ saam met mense van al die nasies, mense wat my naam dra. So sê Jehovah,* wat hierdie dinge doen^h **18** en wat dit lank gelede bekend gemaak het.ⁱ **19** Daarom dink* ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die mense uit die nasies wat God wil dien nie,^j **20** maar dat ons aan hulle moet skryf om hulle te weerhou van dinge wat deur afgode besoesdel is,^k van seksuele onsedelikheid,^l van

15:16 *Of "skuiling; huis". ^aLet. "die ruïnes daarvan". **15:17** *Sien Aanh. A5. *Of "ernstig kan soek". **15:19** *Of "oordeel". **15:20, 29** ^aGrieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys.

HFST. 15

- a Ga 3:28
b Ga 2:15, 16
1Pe 1:22
c Ga 5:1
d Ga 3:10
e Jes 53:11
Mt 20:28
Joh 1:17
f Mt 10:2
Han 11:13
2Pe 1:1
g 1Pe 2:9, 10
h Am 9:11, 12
i Jes 45:21
j Han 15:10
k Ge 35:2
Eks 20:3
1Kor 10:14
l 1Kor 6:9, 10
Kol 3:5
1Te 4:3

Tweede kol.

- a Ge 9:4
Le 3:17
Le 7:26
Le 17:10, 13
Le 19:26
De 12:23
De 15:23
1Sa 14:32, 33
b Han 13:15
2Kor 3:15
c 1Te 1:1
1Pe 5:12
d Han 11:26
e Han 15:1
f Han 13:50
1Kor 15:30, 31
2Kor 11:23-26
g Han 16:4
h Joh 16:13
Han 5:32
i Ge 35:2
Eks 20:3
Eks 34:15
1Kor 10:14
j Ge 9:4
Le 3:17
Le 7:26
Le 17:10
De 12:16, 23
1Sa 14:32, 33
k Le 17:13
l Ge 39:7-9
1Kor 6:9, 10
Ef 5:5
Kol 3:5
1Te 4:3

wat verwurg is* en van bloed.^a

21 Want van die ou tyd af was daar in elke stad mense wat Moses verkondig het, omdat hy elke sabbat in die sinagoges voorgelees word."^b

22 Toe het die apostels en die ouermanne saam met die hele gemeente besluit om manne onder hulle uit te kies en hulle saam met Paulus en Bar'nabas na Antio'gië te stuur. Hulle het Judas gestuur, wat Bar'sabbas genoem is, sowel as Silas,^c manne wat die leiding onder die broers geneem het. **23** Hulle het die volgende brief geskryf en dit saam met hulle gestuur:

"Die apostels en die ouermanne, julle broers, aan die broers in Antio'gië^d en Sirië en Sili'sië wat uit die nasies is: Groete! **24** Ons het gehoor dat party onder ons julle besoek het en vir julle moeilikheid veroorsaak het deur wat hulle gesê het.^e Hulle het julle* probeer verwar, maar ons het nie vir hulle gesê om dit te doen nie. **25** Ons het dus saam besluit om manne te kies om na julle toe te stuur saam met ons geliefde Bar'nabas en Paulus, **26** manne wat hulle lewens* vir die naam van ons Here Jesus Christus gewaag het.^f **27** Daarom stuur ons Judas en Silas, sodat hulle ook dieselfde dinge vir julle kan sê.^g **28** Want die heilige gees^h en ons het besluit om geen verder las vir julle by te voeg nie, behalwe hierdie noodsaaklike dinge: **29** Weerhou julle van dinge wat aan afgode geoffer is,ⁱ van bloed,^j van wat verwurg is*^k en van seksuele onsedelikheid.^l As julle sorg dat

15:20, 29 *Of "wat doorgemaak is sonder om gebloeï te word". **15:24** *Of "julle siele". **15:26** *Of "siele".

julle wegbly van hierdie dinge, sal julle voorspoedig wees. Mag dit goed gaan met julle!”*

30 Nadat hierdie manne ver- trek het, het hulle na Antio- gië gegaan, waar hulle die hele groep bymekaargeroep het en die brief vir hulle gegee het. **31** Nadat hulle dit gelees het, was hulle bly oor die aanmoediging. **32** En omdat Judas en Silas ook profete was, het hulle die broers met baie toesprake aangemoedig en versterk.^a **33** Nadat hulle ’n ruk lank daar gebly het, het die broers hulle voorspoed toegewens toe hulle terugreis na dié wat hulle gestuur het. **34** *— **35** Maar Paulus en Bar’nabas het in Antio’gië gebly, waar hulle saam met baie ander die goeie nuus van die woord van Jehovah* aan ander geleer en bekend gemaak het.

36 En ná ’n hele paar dae het Paulus vir Bar’nabas gesê: “Kom ons gaan besoek nou die broers in elke stad waar ons die woord van Jehovah* verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.”^b **37** Bar’nabas was vasbeslote om Johannes, wat Markus^c genoem is, saam te vat. **38** Maar Paulus het nie gedink dat dit ’n goeie idee is om hom saam te vat nie, omdat hy hulle in Pamfi’lië verlaat het en nie saam met hulle gegaan het om die werk te doen nie.^d **39** Toe het hulle vir mekaar kwaad geword en begin stry, en hulle het uitmekaargegaan. Bar’nabas^e het Markus saamgevat en na Siprus weggeseil. **40** Paulus het Silas gekies, en hulle het vertrek nadat die broers gebied het dat Jehovah* onver-

15:29 *Of “Vaarwel; Mag julle goeie gesondheid geniet”. 15:34 *Sien Aanh. A3. 15:35, 36, 40 *Sien Aanh. A5.

HFST. 15
a Han 18:23

b 2Kor 11:28

c Han 13:4, 5
Kol 4:10
2Ti 4:11

d Han 13:13

e Han 4:36, 37

Tweede kol.

a Han 14:26

HFST. 16

b Han 14:5-7
2Ti 3:11

c Han 19:22
Ro 16:21
1Kor 4:17
1Te 3:2
1Ti 1:2

d 1Kor 9:20

e Han 15:28, 29

f Han 18:23

g 1Pe 1:1

diende goedheid aan Paulus be- toon.^a **41** Hy het deur Sirië en Silli’sië gegaan en die gemeentes versterk.

16 Toe het hy in Derbe en ook in Listra^b aangekom. Daar was ’n dissipel met die naam Timo’teus,^c die seun van ’n gelowige Joodse vrou maar van ’n Griekse pa, **2** en die broers in Listra en Iko’nium het goeie dinge oor hom gesê. **3** Paulus het gesê dat hy Timo’teus graag wil saamvat, en hy het hom besny as gevolg van die Jode op daardie plekke,^d want hulle almal het geweet dat sy pa ’n Griek is. **4** Terwyl hulle deur die stede gereis het, het hulle die broers en susters laat weet wat die apostels en ouermanne in Jerusalem besluit het, sodat hulle dit kan gehoorsaam.^e **5** As gevolg hiervan het die gemeentes heelyd sterker geword in die geloof en het hulle dag ná dag bly vermeerder.

6 Hulle het ook deur Fri’gië en Gala’sië^f gereis omdat hulle deur die heilige gees verbied is om die woord in die provin- sie Asië te verkondig. **7** En toe hulle by Mi’sië kom, het hulle na Biti’nië^g probeer gaan, maar die gees van Jesus het hulle nie toegelaat nie. **8** Toe het hulle verby* Mi’sië gegaan en na Tro- as gereis. **9** En gedurende die nag het Paulus ’n visioen gehad – daar het ’n Masedo’niese man gestaan wat hom gesmeek het: “Kom oor na Masedo’nië en help ons.” **10** Net nadat hy die visi- oen gesien het, het ons na Ma- sedo’nië probeer gaan, want ons het die gevolgtrekking gemaak dat God ons geroep het om die goeie nuus aan hulle bekend te maak.

16:8 *Of “deur”.

11 Ons het toe van Troas af gevaar, reguit na Samotra'ke, maar die volgende dag na Ne-a'polis, **12** en daarvandaan het ons na Filip'pi^a gegaan, 'n kolonie, wat die belangrikste stad van die distrik Masedo'nië is. Ons het 'n paar dae lank in hierdie stad gebly. **13** Op die Sabbatdag het ons by die poort uitgegaan na 'n plek langs 'n rivier, waar ons gedink het 'n bidplek is, en ons het gaan sit en met die vrouens begin praat wat daar bymekaargekom het. **14** 'n Vrou met die naam Li'dia, wat 'n aanbieder van God was, het geluister. Sy was van die stad Tiati'ra^b en het pers materiaal verkoop. Jehovah* het haar hart wyd oopgemaak om aandag te skenk aan die dinge wat Paulus gesê het. **15** En toe sy en die mense in haar huis gedoop is,^c het sy by ons aangedring en gesê: "As julle dink dat ek getrou is aan Jehovah,* kom bly dan in my huis." En sy het ons eenvoudig gedwing om te kom.

16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, het ons 'n diensmeisie raakgeloop. Sy het 'n gees, 'n demoon, in haar gehad wat haar in staat gestel het om die toekoms te voorspel.^d Sy het vir haar meesters baie geld gemaak deur mense se toekoms te voorspel. **17** Hierdie meisie het Paulus en ons bly volg terwyl sy uitgeroep het: "Hierdie mense is slawe van die allershoogste God,^e en hulle verkondig die weg van redding aan julle." **18** Sy het dit baie dae lank gedoen. Uiteindelik het Paulus moeg geword daarvoor en omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die naam van Jesus Christus om uit haar uit te

HFST. 16
a Flp 1:1

b Op 1:11

c Han 16:33
Han 18:8

d Le 19:31
Le 20:6

e Mr 1:23, 24
Lu 4:41

Tweede kol.

a Mt 17:18
Mr 1:25, 26
Mr 1:34
Lu 9:1
Lu 10:17

b Han 19:24, 25

c Mt 10:18

d Han 17:6

e 1Te 2:2

f Lu 21:12

g Ef 5:19
Kol 3:16

h Han 5:18-20
Han 12:7

i Han 12:18, 19

kom." En die gees het onmiddellik uitgekóm.^a

19 Wel, toe haar meesters sien dat hulle haar nie meer kan gebruik om geld te maak nie,^b het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle tot op die markplein, na die heersers toe, gesleep.^c **20** Hulle het hulle na die magistrate gevat en gesê: "Hierdie mense maak groot moeilikheid in ons stad.^d Hulle is Jode, **21** en hulle verkondig gebruike wat ons nie mag aanvaar of beoefen nie, want ons is Romeine." **22** En die skare het saam teen hulle opgestaan, en nadat die magistrate die manne se kleure van hulle afgeskeur het, het hulle beveel dat hulle met stokke geslaan moet word.^e **23** Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder is beveel om hulle veilig te bewaak.^f **24** As gevolg van hierdie bevel het hy hulle in die binneste deel van die tronk gegooi en hulle voete in die blok vasgemaak.

25 Maar omtrent middernag was Paulus en Silas besig om te bid en om God te loof deur liedere te sing,^g en die gevangenes het na hulle geluister. **26** Skielik was daar 'n groot aardbewing, en die fundamente van die tronk het geskud. Al die deure het ook dadelik oopgegaan, en almal se boeie het losgeraak.^h **27** Toe die bewaarder wakker word en sien dat die deure van die tronk oop is, het hy sy swaard uitgetrek en wou hy homself doodmaak omdat hy gedink het dat die gevangenes ontsnap het.ⁱ **28** Maar Paulus het met 'n harde stem uitgeroep: "Moenie jouself seermaak nie, want ons is almal hier!" **29** Toe het hy gevra dat lampe gebring word. Hy het vinnig ingegaan en gebewe terwyl hy voor Paulus en Silas

neergeval het. **30** Hy het hulle uitgebring en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?” **31** Hulle het gesê: “Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en die mense in jou huis.”^a **32** Toe het hulle die woord van Jehovah* aan hom en almal in sy huis bekend gemaak. **33** En hy het hulle daardie selfde nag saamgeneem en hulle wonde gewas. Toe is hy en almal in sy huis dadelik gedoop.^b **34** En hy het hulle in sy huis ingebring en ’n tafel vir hulle gedek, en hy en almal in sy huis was baie bly noudat hy in God begin glo het.

35 Toe dit dag word, het die magistrate die konstabels gestuur om te sê: “Laat daardie manne vry.” **36** Die bewaarder het vir Paulus gesê: “Die magistrate het manne gestuur om julle twee vry te laat. Kom dan nou uit en gaan in vrede.” **37** Maar Paulus het vir hulle gesê: “Hulle het ons in die openbaar geslaan sonder ’n verhoor, al is ons Romeine,^c en hulle het ons in die tronk gegooi. Wil hulle ons nou in die geheim uitgooi? Beslis nie! Laat hulle self kom en ons uitbring.” **38** Die konstabels het toe hierdie boodskap aan die magistrate oorgegee, en hulle het bang geword toe hulle hoor dat die manne Romeine is.^d **39** Toe het hulle gekom en hulle gesmeek, en nadat hulle uitgebring is, het hulle hulle gevra om die stad te verlaat. **40** Maar toe hulle uit die tronk kom, het hulle na Li’dia se huis gegaan, en toe hulle die broers sien, het hulle hulle aangemoedig^e en vertrek.

17 Hulle het toe deur Amfi’polis en Apollo’nië gereis en by Tessalo’nika gekom,^f waar daar ’n sinagoge van die Jode

HFST. 16

a Joh 3:16
Joh 6:47

b Han 8:12

c Han 22:25
Han 23:27

d Han 22:27-29

e 2Kor 1:3, 4

HFST. 17

f 1Te 2:1

Tweede kol.

a Han 9:19, 20
Han 13:13, 14
Han 14:1
Han 18:4

b Han 18:19

c Ps 22:7
Ps 34:20
Ps 69:21
Ps 118:22
Jes 50:6
Jes 53:3, 5

d Ps 16:10
Lu 24:45, 46

e Han 15:22, 40

f Han 13:45

g Han 16:19-21

h Lu 23:1, 2
Joh 19:12

was. **2** Toe het Paulus soos gewoonlik^a na hulle toe ingegaan, en hy het drie sabbatte lank uit die Skrif met hulle geredeneer^b **3** en verduidelik en deur ver wysings bewys dat die Christus moes ly^c en uit die dood moes opstaan.^d Hy het gesê: “Hierdie Jesus oor wie ek vir julle preek, is die Christus.” **4** As gevolg hiervan het party van hulle gelowiges geword en by Paulus en Silas^e aangesluit, asook ’n groot aantal Grieke wat God aanbid het en baie van die belangrike vrouens.

5 Maar die Jode het jaloers geword^f en het ’n klomp slegte manne bymekaargemaak wat op die markplein rondgehang het. Hulle het ’n groot groep gevorm en ’n oproer in die stad veroorsaak. Hulle het die huis van Jason aangeval omdat hulle wou hê dat Paulus en Silas na die groep toe uitgebring moes word. **6** Toe hulle hulle nie kon vind nie, het hulle Jason en party broers na die stadsleiers toe gesleep en uitgeroep: “Hierdie mense wat oral op die aarde moeilikheid gemaak het, is nou ook hier,^g **7** en Jason het hulle as sy gaste ontvang. Al hierdie mense kom in opstand teen die bevel van die keiser deur te sê dat daar ’n ander koning is, Jesus.”^h **8** Toe die skare en die stadsleiers hierdie dinge hoor, was hulle ontsteld, **9** en nadat Jason en die ander die borggeld betaal het, is hulle vrygelaat.

10 Die broers het Paulus en Silas onmiddellik in die nag na Bere’a gestuur. Toe hulle daar aankom, het hulle in die sinagoge van die Jode ingegaan. **11** En die Jode in Bere’a was gewilliger om te leer* as dié in Tessalo’nika, want hul-

17:11 *Of “was edelmoediger”.

le het die woord gretig aanvaar en die Skrif elke dag deeglik ondersoek om te sien of hierdie dinge so was. **12** Baie van hulle het dus gelowiges geword, so wel as 'n groot aantal van die gerespekteerde Griekse vrouens en ook party van die mans. **13** Maar toe die Jode van Tessa'lo'nika uitvind dat Paulus die woord van God ook in Bere'a verkondig, het hulle daarheen gegaan om die mense teen hulle op te steek.^a **14** Toe het die broers Paulus onmiddellik weggestuur om na die see toe te gaan,^b maar Silas en Timo'teus het daar agtergebly. **15** Dié wat saam met Paulus gegaan het, het hom egter tot by Atene geneem. Hulle het vertrek nadat hulle 'n opdrag gekry het dat Silas en Timo'teus^c so gou moontlik na Paulus toe moet kom.

16 Terwyl Paulus in Atene vir hulle gewag het, het hy* geirriteerd geraak toe hy sien dat die stad vol afgode is. **17** Toe het hy in die sinagoge begin redeneer met die Jode en die ander mense wat God aanbid het. Hy het ook elke dag gereedeneer met dié wat op die markplein was. **18** Maar party van die Epiku'riese en Stoïsyn'se filosowe het met hom begin stry, en party het gevra: "Wat wil hierdie man wat so baie praat nou eintlik sê?" Ander het gesê: "Dit lyk of hy 'n verkondiger van vreemde gode is." Dit was omdat hy die goeie nuus van Jesus en die opstanding bekend gemaak het.^d **19** Toe het hulle hom gegryp en hom na die Areo'pagus gelei en gesê: "Kan jy vir ons sê wat hierdie nuwe leringe is waarvan jy praat? **20** Want jy praat van dinge wat vreemd klink in ons ore en ons

17:16 *Lett. "sy gees".

HFST. 17

a Han 14:2, 19

b Mt 10:23

c Han 16:1, 2
1Te 3:2

d Joh 5:28, 29
Joh 11:25
1Kor 15:12

Tweede kol.

a Han 17:33, 34

b Han 17:16

c Ps 146:6

d 1Kn 8:27

e Ps 50:12

f Jes 42:5

g Ge 5:2

h Ge 1:28

i De 2:5, 19
De 32:8
Ps 74:17

j De 4:29
Ps 145:18
Ro 1:20

k Ge 1:27

wil weet wat hierdie dinge beteken." **21** Om die waarheid te sê, al die Ateners en die uitlanders wat daar gebly het, het niks anders in hulle vrye tyd gedoen as om iets nuuts te vertel of na iets nuuts te luister nie. **22** Paulus het toe in die middel van die Areo'pagus^a gestaan en gesê:

"Manne van Atene, dit lyk asof julle in alles meer vrees vir die gode het as wat ander het.^b **23** Terwyl ek byvoorbeeld rondgegaan en julle heilige voorwerpe goed bekyk het, het ek selfs 'n altaar gevind waarop gegraveer is: 'Aan 'n Onbekende God.' Die een wat julle dan aanbied sonder dat julle dit besef, dit is hy wat ek aan julle verkondig. **24** Die God wat die wêreld en alles daarin gemaak het, die Here van hemel en aarde,^c woon nie in handgemaakte tempels nie,^d **25** en hy word ook nie deur mensehande bedien asof hy enigiets nodig het nie,^e omdat hy self aan alle mense lewe en asem^f en alles gee. **26** En hy het uit een mens^g elke nasie van die mensdom gemaak om op die hele aarde te woon,^h en hy het die vasgestelde tye bepaal en die grense gestel van waar mense sou woon.ⁱ **27** Want God wil hê dat mense hom moet soek, dat hulle hom ernstig moet soek* en hom werklik vind,^j want hy is eintlik nie ver van elkeen van ons af nie. **28** Want deur hom het ons lewe en beweeg en bestaan ons, net soos party van julle digters gesê het: 'Want ons is ook sy kinders.'^k

29 "Omdat ons dan die kinders* van God is,^k moet ons

17:22 *Of "godsdiensdiger is as ander". 17:27 *Lett. "dat hulle na hom sou rondtas". 17:28, 29 *Of "nakomelinge".

nie dink dat die Goddelike Wese soos goud of silwer of klip is nie, soos 'n beeld wat deur die vaardigheid en ontwerp van die mens gemaak word nie.^a

30 Dit is waar dat mense daardie dinge gedoen het sonder dat hulle geweet het wat hulle doen,^b en God het dit oorgesien, maar nou sê God vir alle mense dat hulle berou moet toon.

31 Want hy het 'n dag vasgestel waarop hy die hele aarde in regverdigheid sal oordeel^c deur 'n man wat hy aangestel het, en hy het aan alle mense 'n waarborg gegee deur hom uit die dood op te vek.^d

32 En toe hulle hoor van 'n opstanding uit die dood, het party hom begin spot^e terwyl ander gesê het: "Ons sal weer wil hoor wat jy hieroor te sê het." **33** Toe het Paulus hulle verlaat, **34** maar party ander het by hom aangesluit en gelowiges geword. Onder hulle was Dionisius, wat 'n regter van die geregshof van die Areopagus was, en 'n vrou met die naam Da'maris en nog ander saam met hulle.

18 Daarna het hy uit Atene vertrek en in Korinte gekom. **2** En hy het 'n Jood met die naam A'quila^f gevind, wat in Pontus gebore is. A'quila het kort tevore saam met sy vrou Priscil'la uit Italië gekom omdat Claudius al die Jode beveel het om Rome te verlaat. Toe het hy na hulle toe gegaan, **3** en omdat hy dieselfde ambag as hulle gehad het, het hy by hulle gebly en saam met hulle gewerk,^g want hulle was tentmakers. **4** Hy het elke sabbat^h in die sinagogeⁱ 'n toespraak gehou* en Jode en Grieke oorreed.

18:4 *Of "met hulle geredeneer".

HFST. 17

a De 5:8
Jes 37:19
Jes 40:18-20
Jes 46:5

b Ef 4:17,18

c Ps 96:13
Ps 98:9
Joh 5:22
Han 10:42

d Joh 11:25
Han 2:24
Han 13:32, 33

e 1Kor 1:23

HFST. 18

f Han 18:24, 26
1Kor 16:19
2Ti 4:19

g Han 20:34
1Kor 4:11, 12
1Kor 9:15
1Te 2:9
2Te 3:8, 10

h Han 17:2

i Mt 4:23

Tweede kol.

a Han 15:27
Han 17:14

b Han 16:1, 2
1Te 3:6

c Han 17:2, 3
Han 28:23

d Mt 10:14

e Ese 33:4

f Han 20:26

g Han 13:46
Han 28:28
Ro 1:16

h 1Kor 1:14

i Mt 28:20

5 Toe Silas^a en Timo'teus^b van Masedo'nië af kom, was Paulus druk besig om die woord te verkondig, en hy het vir die Jode getuig om te bewys dat Jesus die Christus is.^c **6** Maar nadat hulle aangehou het om hom teë te staan en hom te beledig, het hy sy klere uitgeskud^d en vir hulle gesê: "Laat julle bloed op julle eie koppe wees.^e Ek is rein.^f Van nou af sal ek na mense van die nasies toe gaan."^g **7** Toe het hy daar* weggegaan en na die huis van 'n man met die naam Ti'tius Justus gegaan, 'n aanbiddervan God, wie se huis langs die sinagoge was. **8** Maar Krispus,^h die hoofbeampte van die sinagoge, en almal in sy huis het in die Here begin glo. En baie van die Korintiërs wat gehoor het, het begin glo en is gedoopt. **9** En die Here het in die nag vir Paulus in 'n visioen gesê: "Moenie bang wees nie, maar hou aan praat en moenie stilbly nie, **10** want ek is met jou,ⁱ en geen mens sal jou aanval en jou seermaak nie, want ek het baie mense in hierdie stad." **11** Toe het hy 'n jaar en ses maande daar gebly en die woord van God onder hulle geleer.

12 Terwyl Gal'lio prokonsul* van Aga'je was, het die Jode saam besluit om Paulus aan te val, en hulle het hom na die regterstoel gelei **13** en gesê: "Hierdie man oorreed mense om God te aanbid op 'n manier wat teen die wet is." **14** Maar net toe Paulus wou praat, het Gal'lio vir die Jode gesê: "As daar iets verkeerd gedoen is of 'n ernstige misdaad gepleeg is, o Jode, sou dit redelik van my wees om geduldig na julle te

18:7 *D.w.s. die sinagoge. 18:12 *D.w.s. die Romeinse goewerneur van 'n provinsie. Sien Woordelys.

luister. **15** Maar as dit 'n stryery is oor woorde en name en julle eie wet,^a is dit julle saak. Ek wil nie in hierdie dinge 'n regter wees nie." **16** Toe het hy hulle van die regterstoel af weggejaag. **17** Toe het hulle almal Sos'tenes,^b die hoofampte van die sinagoge, gegryp en hom voor die regterstoel begin slaan. Maar Gal'lio wou glad nie hierby betrokke raak nie.

18 Nadat Paulus nog 'n hele paar dae gebly het, het hy van die broers afskeid geneem en na Sirië weggeeil, en Priscil'la en A'quila het saam met hom gegaan. In Kenchre'ë^c het hy sy hare kort laat knip, want hy het 'n gelofte gemaak. **19** Toe het hulle in Efe'se aangekom, en hy het hulle daar gelos, maar hy het in die sinagoge ingegaan en met die Jode geredeneer.^d **20** Al het hulle hom aanhoudend gevra om langer te bly, wou hy nie, **21** maar hy het van hulle afskeid geneem en vir hulle gesê: "As Jehovah* wil, sal ek weer na julle toe terugkeer." Hy het toe van Efe'se af weggevaar **22** en na Sesare'a gegaan. En hy het verder* gegaan en die gemeente gaan groet en toe na Antio'gië gegaan.^e

23 Nadat hy 'n tyd lank daar gebly het, het hy vertrek en van plek tot plek deur Gala'sië en Fri'gië^f gegaan en al die dissipels versterk.^g

24 En 'n Jood met die naam Apol'los,^h wat in Aleksandrië gebore is, het in Efe'se aangekom. Hy kon goed praat en het die Skrif baie goed geken. **25** Hierdie man is geleerⁱ in die weg van Jehovah.* Hy was vol ywer as gevolg van die heilige gees en hy het die dinge oor

18:21, 25 *Sien Aanb. A5. **18:22** ^aBlykbaar na Jerusalem. **18:25** ^fOf "mondeling geleer".

HFST. 18

a Han 23:29
Han 25:19

b 1Kor 1:1

c Ro 16:1

d Han 17:2

e Han 15:36

f Han 16:6

g Han 14:21, 22
Han 15:32

h Han 19:1
1Kor 1:12
1Kor 3:5, 6

Tweede kol.

a Ro 16:3
1Kor 16:19

b De 18:15
Ps 16:10
Jes 7:14
Mi 5:2

HFST. 19

c Han 18:24
1Kor 3:5, 6

d 1Kor 16:8, 9

e Han 2:38

f Han 18:24, 25

g Mt 3:11
Mr 1:4

h Joh 1:15, 30

i Han 8:14, 17

j Han 2:1, 4
Han 10:45, 46
1Kor 12:8, 10

k Han 17:2

Jesus noukeurig aan ander geleer, maar hy was net bekend met die doop van Johannes. **26** Hy het moedig in die sinagoge begin preek, en toe Priscil'la en A'quila^a hom hoor, het hulle hom saamgeneem en die weg van God vir hom nog duideliker gemaak. **27** En omdat hy na Aga'je wou gaan, het die broers aan die dissipels geskryf en hulle gevra om hom vriendelik te ontvang. Toe hy dus daar kom, het hy dié wat deur God se onverdiende goedheid gelowiges geword het, baie gehelp, **28** want hy het die Jode in die openbaar kragtig en deeglik verkeerd bewys en vir hulle uit die Skrif gewys dat Jesus die Christus is.^b

19 Terwyl Apol'los^c in Korinte was, het Paulus deur die binneland gegaan en in Efe'se^d aangekom. Daar het hy 'n aantal dissipels gevind, **2** en hy het vir hulle gevra: "Het julle heilige gees ontvang toe julle gelowiges geword het?"^e Hulle het vir hom gesê: "Nee, ons het nog nooit gehoor dat daar 'n heilige gees is nie." **3** Toe het hy gevra: "Met watter doop is julle dan gedoop?" Hulle het gesê: "Met die doop van Johannes."^f **4** Paulus het gesê: "Johannes het gedoop met die doop as 'n simbool van berou^g en hy het vir die mense gesê om te glo in die een wat ná hom kom,^h dit wil sê in Jesus." **5** Toe hulle dit hoor, is hulle in die naam van die Here Jesus gedoop. **6** En toe Paulus sy hande op hulle lê, het die heilige gees op hulle gekom,ⁱ en hulle het in vreemde tale begin praat en geprofeteer.^j **7** Daar was altesaam omtrent 12 manne.

8 Hy het in die sinagoge ingegaan^k en drie maande lank moedig gepreek deur toesprake

te hou en met die mense te redeneer om hulle van die Koninkryk van God te oortuig.^a **9** Maar toe party hardkoppig weier om te glo en hulle slegte dinge van Die Weg^b voor die skare sê, het hy van hulle af weggegaan^c en die dissipels van hulle afgesonder en elke dag toesprake in die skoolouditorium van Tiran'us gehou. **10** Dit het twee jaar lank so aangehou, en almal wat in die provinsie Asië gewoon het, het die woord van die Here gehoor, Jode sowel as Grieke.

11 En God het buitengewone kragtige werke deur die hande van Paulus bly doen,^d **12** en selfs doeke en voorskote wat aan sy liggaam geraak het, is na die siekes geneem,^e en hulle siektes het verdwyn, en die bose geeste het uitgekóm.^f **13** Maar party van die Jode wat rondgereis het en demone uitgedryf het, het ook die naam van die Here Jesus probeer gebruik oor dié wat bose geeste gehad het. Hulle het gesê: "Ek beveel julle in die naam van Jesus wat deur Paulus verkondig word."^g **14** En daar was sewe seuns van 'n Joodse hoofpries-ter met die naam Skeva wat dit gedoen het. **15** Maar die bose gees het vir hulle gesê: "Ek ken Jesus^h en ek weet wie Paulus is, maar wie is julle?" **16** Toe het die man in wie die bose gees was, op hulle gesprink. Hy het teen hulle baklei en die oorhand oor die een ná die ander gekry sodat hulle kaal en beseer uit daardie huis gevlug het. **17** Al die Jode sowel as die Grieke wat in Efe'se gewoon het, het daarvan gehoor en baie bang geword, en die naam van die Here Jesus is voortdurend verheerlik. **18** En baie van dié wat gelowiges geword het, het

- HFST. 19
 a Han 1:3
 Han 28:30, 31
 b Han 9:1, 2
 Han 22:4
 c Mt 10:14
 d Han 14:3
 e Mr 6:56
 Han 5:15
 f Mt 10:1
 g Han 16:18
 h Mt 8:28, 29
 Mr 1:23, 24
 Lu 4:33, 34
 i Han 16:16, 17
 Tweede kol.
 a De 18:10, 11
 b Han 6:7
 Han 12:24
 Kol 1:6
 c Han 20:22
 d 1Kor 16:5
 e Han 23:11
 f Han 16:1, 2
 g 2Ti 4:20
 h 2Kor 1:8
 i Han 9:1, 2
 Han 19:9
 Han 22:4
 j Han 16:16
 k Ef 1:1
 l Han 17:29
 1Kor 8:4

gekom en openlik bely en bekend gemaak wat hulle gedoen het. **19** Ja, baie van dié wat toorkuns beoefen het, het hulle boeke bymekaargebring en dit voor almal verbrand.^a En hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit 50 000 silwerstukke werd was. **20** So het die woord van Jehovah* grootliks bly groei en kragtiger geword.^b

21 Ná hierdie dinge het Paulus besluit dat hy na Jerusalem sou reis^c nadat hy deur Masedo'nië^d en Aga'je gegaan het. Hy het gesê: "Nadat ek daar was, moet ek ook Rome toe gaan."^e **22** Toe het hy twee van sy helpers, Timo'teus^f en Eras'tus,^g na Masedo'nië gestuur, maar hy het 'n tyd lank in die provinsie Asië gebly.

23 In daardie tyd het daar 'n groot opskudding^h oor Die Wegⁱ ontstaan. **24** 'n Man met die naam Deme'trius, 'n silwersmid, het silwertempeltjies gemaak wat soos die tempel van Ar'temis gelyk het. Hy en die ander ambagsmanne het 'n groot wins gemaak.^j **25** Hy het hulle en nog ander ambagsmanne bymekaargeroep en gesê: "Manne, julle weet goed dat dit hierdie werk is wat ons voorspoedig maak. **26** Nou sien en hoor julle hoe hierdie Paulus nie net in Efe'se^k nie, maar in byna die hele provinsie Asië 'n groot groep oorreed het en hulle van opinie laat verander het. Hy sê dat die gode wat met hande gemaak word, nie regtig gode is nie.^l **27** Nou is ek ook bang dat ons besigheid 'n slegte naam sal kry en dat mense die tempel van die groot godin Ar'temis as niks sal beskou nie. En al word sy nou in die hele provinsie Asië en oor die hele aarde

aanbid, sal sy nie meer vereer word nie.” **28** Toe die mense dit hoor, het hulle baie kwaad geword. Hulle het begin uitroep: “Groot is Ar'temis van die Efesiërs!”

29 Toe was daar verwarring oral in die stad, en hulle het almal saam by die teater ingestorm en Gajus en Aristar'gus,^a Masedoniërs wat saam met Paulus gereis het, saamgesleep. **30** Paulus was bereid om in te gaan na die volk toe, maar die dissipels het hom nie toegelaat nie. **31** Selfs party mense wat die feeste en spele organiseer het en 'n vriendelike gesindheid teenoor hom gehad het, het vir hom 'n boodskap gestuur en hom gesmeek om dit nie in die teater te waag nie. **32** Intussen was die vergadering in verwarring, want party het een ding uitgeroep en ander iets anders, en die meeste van hulle het nie geweet waarom hulle daar bymekaargekom het nie. **33** Toe het die mense Aleksander uit die skare gebring omdat die Jode hom vorentoe gestoot het. Aleksander het met sy hand beduie en wou hom voor die volk verdedig. **34** Maar toe hulle agterkom dat hy 'n Jood is, het hulle almal omtrent twee uur lank saam geskree: “Groot is Ar'temis van die Efesiërs!”

35 Toe die hoofamptenaar van die stad die skare uiteindelik laat bedaar het, het hy gesê: “Manne van Efe'se, wie weet tog nie dat die stad van die Efesiërs die bewaarder is van die groot Ar'temis se tempel en die beeld wat uit die hemel geval het nie? **36** Omdat hierdie dinge nie ontken kan word nie, moet julle kalm bly en nie oorhaastig optree nie. **37** Want julle het hierdie

HFST. 19

a Han 20:4
Kol 4:10
Flm 23, 24

Tweede kol.

a Han 19:24

HFST. 20

b Han 23:12, 16
2Kor 11:23, 26

c Han 27:2

d Han 16:1, 2

e Ef 6:21
Kol 4:7
2Ti 4:12

f Han 21:29
2Ti 4:20

g Eks 12:15
Eks 23:15

manne hierheen gebring, wat nie tempelrowers of lasteraars van ons godin is nie. **38** As Demetrius^a en die ambagsmanne by hom dus 'n saak teen iemand het – daar is howe en prokonsuls* daarvoor. Laat hulle mekaar daar aankla. **39** Maar as julle enigiets meer as dit wil hê, moet 'n wettige vergadering daarvoor besluit. **40** Want wat vandag gebeur het, stel ons in groot gevaar. Ons kan van opstand aangekla word omdat ons nie 'n rede kan gee vir hierdie groot opskudding nie.” **41** En nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy die vergadering verdaag.

20 Toe die opskudding bedaar het, het Paulus die dissipels laat roep, en nadat hy hulle aangemoedig het, het hy hulle gegroet en na Masedonië vertrek. **2** Nadat hy deur daardie gebiede gegaan het en baie aanmoediging gegee het aan dié wat daar was, het hy in Griekeland aangekom. **3** Hy het drie maande daar gebly, maar toe hy op die punt was om na Sirië weg te seil, het hy uitgevind dat die Jode beplan om hom dood te maak.^b Daarom het hy besluit om deur Masedonië terug te gaan. **4** 'n Aantal mans het saam met hom gegaan: So'pater, die seun van Pirrus van Bere'a, Aristar'gus^c en Sekun'dus van die Tessalonisense, Gajus van Derbe, Timo'teus,^d asook Ti'gikus^e en Tro'fimus^f uit die provinsie Asië. **5** Hierdie mans het vooruitgegaan en in Troas vir ons gewag, **6** maar ons het ná die dae van die Ongesuurde Brode^g uit Filip'pi vertrek, en ons het binne vyf dae by hulle in Troas gekom, en ons het sewe dae daar gebly.

19:38 *'n Prokonsul was die Romeinse goewerneur van 'n provinsie. Sien Woordelys.

7 Op die eerste dag van die week, toe ons bymekaar was om te eet, het Paulus 'n toespraak vir hulle begin hou omdat hy die volgende dag sou vertrek, en sy toespraak het tot middernag aangehou. 8 En daar was 'n hele paar lampe in die bo-kamer waar ons bymekaar was. 9 'n Jong man met die naam Eutigus het by die venster gesit en het vas aan die slaap geraak terwyl Paulus gepraat het. Hy het van die derde verdieping afgeval, en toe hulle hom gaan optel, was hy dood. 10 Maar Paulus het ondertoe gegaan, op hom gaan lê, sy arms om hom gesit^a en gesê: "Hou op om so te huil, want hy lewe."^b 11 Toe het hy boontoe gegaan en die brood gebreek* en geëet. Hy het nog 'n hele ruk gepraat, tot dagbreek toe, en toe het hy vertrek. 12 Hulle het toe die seun lewend weggeneem en was grootliks vertroos.

13 Ons het toe na die skip toe gegaan en na Assus weg-geseil. Ons het beplan om Paulus daar op te laai soos hy met ons afgespreek het, want hy was van plan om daarheen te stap. 14 En toe hy ons in Assus kry, het ons hom opgelaai en na Mile'te gegaan. 15 En ons het die volgende dag daar weg-geseil en by Chios aangekom, maar die dag daarna het ons Samos bereik en nog 'n dag later by Mile'te aangekom. 16 Paulus het besluit om verby Efe'se^c te seil omdat hy nie tyd in die provinsie Asië wou deurbring nie, want hy wou gou maak sodat hy, indien moontlik, op die dag van die Pinksterfees in Jerusalem^d kon wees.

17 Maar hy het 'n boodskap van Mile'te af na Efe'se gestuur

20:10 *Of "want sy siel is in hom".
20:11 *Of "die maaltyd begin".

HFST. 20

a 1Kn 17:21, 22
2Kn 4:32, 34

b Mt 9:23, 24
Joh 11:39, 40
Han 9:39, 40

c Han 18:21

d Han 24:17

Tweede kol.

a Han 19:9, 10

b 1Kor 15:9
1Te 2:6

c Mt 28:19, 20
Han 5:42
2Ti 4:2

d Mr 1:14, 15

e Lu 24:46, 47

f Han 9:15, 16
Han 21:4, 11

g 2Ti 4:7

h Ese 33:8

i Mt 28:19, 20

j 1Ti 4:16

k 1Ti 3:1-7
Tit 1:5-9
Heb 13:17

en die ouermanne van die gemeente laat roep. 18 Toe hulle by hom kom, het hy vir hulle gesê: "Julle weet goed hoe ek myself onder julle gedra het van die eerste dag af dat ek in die provinsie Asië^a gekom het, 19 hoe ek die Here as 'n slaaf gedien het met alle nederigheid^b en met trane en hoe ek gelyk het as gevolg van die Jode se planne om my dood te maak, 20 terwyl ek nie gehuiwer het om julle alles te vertel wat voordelig is en julle in die openbaar en van huis tot huis te leer nie.^c 21 Maar ek het deeglik vir die Jode en die Grieke getuig oor berou^d teenoor God en geloof in ons Here Jesus.^e 22 En nou word ek deur die heilige gees na Jerusalem gelei, al weet ek nie wat daar met my sal gebeur nie. 23 Ek weet net dat die heilige gees my van stad tot stad herhaaldelik waarsku dat gevangenskap en vervolging op my wag.^f 24 Tog is my eie lewe* nie vir my belangrik nie,^g solank ek net my loopbaan en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, kan voltooi,^g naamlik om deeglik van die goeie nuus van God se onverdiende goedheid te getuig.

25 "En nou weet ek dat nie een van julle aan wie ek die Koninkryk verkondig het, my ooit weer sal sien nie. 26 Ek roep julle vandag as getuies dat ek rein is van die bloed van alle mense,^h 27 want ek het nie gehuiwer om julle van God se hele voorneme* te vertel nie.ⁱ 28 Skenk aandag aan julleselfⁱ en aan die hele kudde, waaroor die heilige gees julle as opsieners aangestel het,^k om herders

20:24 *Of "siel". ^aOf "vir my van geen waarde nie". 20:27 *Of "al die raad van God".

te wees vir die gemeente van God,^a wat hy met die bloed van sy eie Seun gekoop het.^b **29** Ek weet dat wrede wolwe onder julle sal inkom^c nadat ek weggegaan het en die kudde sal mishandel, **30** en onder julle sal manne opstaan wat die waarheid sal verdraai om die dissipels agter hulle aan weg te trek.^d

31 "Bly dus wakker, en hou in gedagte dat ek drie jaar lank,^e dag en nag, nooit opgehou het om elkeen van julle met trane raad te gee nie. **32** En nou laat ek julle oor aan die sorg van God en aan die woord van sy onverdiende goedheid, die woord wat julle kan opbou en julle die erfenis onder al die heiliges kan gee.^f **33** Ek het geen mens se silwer of goud of klere begeer nie.^g **34** Julle weet self dat hierdie hande in my behoeftes^h en in die behoeftes van dié wat saam met my was, voorsien het. **35** Ek het in alles vir julle gewys dat julle deur hard te werkⁱ die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, toe hy self gesê het: 'Dit maak 'n mens gelukkiger om te gee^j as om te ontvang.'"^m

36 En toe hy hierdie dinge gesê het, het hy saam met hulle almal gekniel en gebid. **37** Toe het hulle almal baie gehuil en Paulus omhels en hom gesoen,^{*} **38** want hulle was baie hartseer omdat hy vir hulle gesê het dat hulle hom nie meer sou sien nie.^k Toe het hulle saam met hom tot by die skip geloop.

21 Nadat ons swaar van hulle afskeid geneem het, het ons op 'n skip geklim en reguit tot by Kos gevaar. Die volgende dag het ons na Rodos

HFST. 20

a Joh 21:15
Ef 4:11
1Pe 5:2-4b Mt 26:27, 28
1Jo 1:7c Mt 7:15
2Te 2:3
2Pe 2:1d 1Ti 4:1
2Ti 4:3, 4
1Jo 2:18, 19

e Han 19:9, 10

f Ef 1:18
Kol 1:12g 1Sa 12:1, 3
Mt 10:8
1Kor 9:11, 12
2Kor 7:2
Tit 1:7h Han 18:3
1Kor 4:11, 12
1Te 2:9i Ef 4:28
1Te 4:11, 12
2Te 3:7, 8j Spr 19:17
Mt 10:8
Lu 6:38

k Han 20:25

Tweede kol.

HFST. 21

a Han 21:10-12

b Han 6:3, 5

c Jl 2:28
Han 2:17
1Kor 11:5

d Han 11:27, 28

e Han 20:22, 23
Han 21:33

gevaar, en daarvandaan na Pa'tara. **2** Toe het ons op 'n skip geklim wat op pad was na Fen'isië toe en weggeeil. **3** Ons het die eiland Siprus aan ons linkerkant gesien, maar ons het daar verbygegaan en na Sirië geseil en by Tirus afgeklim, waar die skip sy vrag moes aflaai. **4** Ons het na die dissipels gesoek en hulle gevind en sewe dae daar gebly. Maar deur die gees het hulle herhaaldelik vir Paulus gesê om nie 'n voet in Jerusalem^a te sit nie. **5** En toe ons tyd daar tot 'n einde gekom het, het ons verder gereis, maar hulle almal, insluitende die vrouens en kinders, het saam met ons gegaan tot buite die stad. En ons het op die strand gekniel en gebid **6** en van mekaar afskeid geneem. Toe het ons op die skip geklim, en hulle het teruggegaan huis toe.

7 Ons het toe met die skip van Tirus af na Ptolemaï's gegaan, en ons het die broers gegroet en een dag by hulle gebly. **8** Die volgende dag het ons vertrek en in Sesare'a aangekom, en ons het in die huis ingegaan van Filippus, die evangelieprediker, wat een van die sewe manne was,^b en ons het by hom gebly. **9** Hierdie man het vier ongetroude* dogters gehad wat geprofeteer het.^c **10** Maar nadat ons 'n hele paar dae daar gebly het, het 'n profeet met die naam A'gabus^d van Jude'a af gekom. **11** Hy het na ons toe gekom en Paulus se lyfband geneem en dit om sy eie voete en hande gebind en gesê: "So sê die heilige gees: 'Die man aan wie hierdie lyfband behoort, sal so deur die Jode in Jerusalem gebind word,^e en hulle sal hom in die hande van mense van die

nasies oorlewer.”^a **12** En toe ons dit hoor, het ons en dié wat by ons was, Paulus begin smeek om nie na Jerusalem te gaan nie. **13** Toe het hy geantwoord: “Hoekom probeer julle my van plan laat verander* deur so te huil? Wees verseker, ek is nie net gereed om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterf vir die naam van die Here Jesus.”^b **14** Omdat hy hom nie laat ompraat het nie, het ons opgehou om hom te probeer keer* en gesê: “Laat die wil van Jehovah[#] plaasvind.”

15 En ná hierdie dae het ons vir die reis voorberei en na Jerusalem vertrek. **16** Party van die dissipels uit Sesare^a het ook saam met ons gegaan en ons na Mnason van Siprus geneem. Hy was een van die eerste dissipels, en ons sou in sy huis bly. **17** Toe ons in Jerusalem kom, het die broers ons met blydschap verwelkom. **18** Maar die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus^c toe gegaan, en al die ouermanne was daar. **19** En hy het hulle gegroet en in besonderhede begin vertel van die dinge wat God onder die nasies deur sy bediening gedoen het.

20 Nadat hulle dit gehoor het, het hulle God begin verheerlik, maar hulle het vir hom gesê: “Broer, jy sien hoeveel duisende gelowiges daar onder die Jode is, en hulle almal is ywerig vir die Wet.”^d **21** Maar hulle het gehoor dat daar gesê is dat jy al die Jode onder die nasies geleer het om van Moses afvallig te word deur vir hulle te sê om nie hulle kinders te besny of die gebruike te volg nie.^e **22** Wat moet daar-

HFST. 21

a Han 9:15, 16

b Han 20:24
2Kor 4:10, 11
2Ti 4:6

c Han 12:17
Han 15:13
Ga 1:19
Ga 2:9
Jak 1:1

d Han 15:1

e Ro 2:28, 29
1Kor 7:18-20

Tweede kol.

a 1Kor 9:20

b Ge 35:2
Eks 34:15

c Ge 9:4
Le 3:17
Le 17:10
1Sa 14:32, 33

d Le 17:13
De 12:23, 24

e Han 15:28, 29
1Kor 6:9
Kol 3:5
1Te 4:3
1Pe 4:3

f 1Kor 9:20

g Han 24:5, 6

h Han 20:4
2Ti 4:20

omtrent gedoen word? Hulle gaan beslis hoor dat jy gekom het. **23** Doen dan wat ons vir jou sê: Ons het vier manne wat 'n gelofte gemaak het. **24** Neem hierdie manne saam met jou en reinig jou seremonieel saam met hulle en betaal vir hulle die koste sodat hulle hulle koppe kan laat skeer. Dan sal almal weet dat die dinge wat hulle van jou gehoor het, nie waar is nie, maar dat jy jou goed gedra en self ook die Wet gehoorsaam.^a **25** En ons het die gelowiges uit die nasies skriftelik laat weet van ons besluit dat hulle hulle moet weerhou van afgodsoffers,^b van bloed,^c van wat verwurg is^{*d} en van seksuele onsedelikheid.”^{#e}

26 Die volgende dag het Paulus die manne geneem en hom saam met hulle seremonieel gereinig.^f Hy het in die tempel ingegaan om te sê wanneer die dae vir die seremoniële reiniging voltooi sou wees en die offer vir elkeen van hulle gebring moes word.

27 En toe die sewe dae amper verby was, het die Jode van Asië hom in die tempel gesien en die hele skare opgesteek, en hulle het hom gegryp **28** en uitgeroep: “Manne van Israel, help! Dit is die man wat oral en aan almal dinge leer wat teen die volk en ons Wet en hierdie plek is. En hy het selfs Grieke in die tempel ingebring en het hierdie heilige plek onrein gemaak.”^g **29** Want hulle het Tro'imus,^h die Efesiër, voorheen in die stad saam met hom gesien, en hulle het gedink dat Paulus hom in die tempel ingebring het. **30** Daar was 'n opskudding in die hele stad, en

21:13 *Of “om my hart swak te maak”.
21:14 *Lett. “het ons stil geword”.
[#]Sien Aanh. A5.

21:25 *Of “wat doorgemaak is sonder om gebloeit te word”. [#]Grieks: *porneia*. Sien Woordelys.

die mense het saam aangehardloop gekom en Paulus gegryp en hom tot buite die tempel gesleep, en die deure is onmiddellik toegemaak. **31** Terwyl hulle hom probeer doodmaak het, het die bevelvoerder van die leërafdeling 'n boodskap gekry dat die hele Jerusalem in verwarring is, **32** en hy het dadelik soldate en militêre offisiere geneem en na hulle toe gehardloop. Toe hulle die militêre bevelvoerder en die soldate sien, het hulle opgehou om Paulus te slaan.

33 Toe het die militêre bevelvoerder nader gekom en hom gearresteer en beveel dat hy met twee kettings geboei moet word.^a Hy het toe begin vra wie hy is en wat hy gedoen het. **34** Maar party in die skare het een ding begin uitroep en ander iets anders. En omdat hy as gevolg van die opskudding nie kon uitvind wat aangaan nie, het hy beveel dat hy na die soldate se kwartiere gebring moet word. **35** Maar toe Paulus by die trappe kom, moes die soldate hom dra omdat die skare so gewelddadig was, **36** want 'n groep mense het agter hulle aangeleop en uitgeroep: "Maak hom dood!"

37 Net voordat hy in die soldate se kwartiere ingelei sou word, het Paulus vir die militêre bevelvoerder gevra: "Mag ek vir u iets sê?" Hy het gevra: "Kan jy dan Grieks praat?" **38** Is jy dan nie die Egiptenaar wat 'n ruk gelede 'n opstand veroorsaak het en 4 000 gewapende manne na die wildernis geneem het nie?" **39** Toe het Paulus gesê: "Ek is eintlik 'n Jood,^b van Tarsus^c in Sili'sië, 'n burger van 'n bekende stad. Daarom smeek ek u: Laat my toe om met die volk te praat." **40** Na-

HFST. 21
a Han 20:22, 23
Han 21:10, 11

b Flp 3:4, 5

c Han 22:3

Tweede kol.

a Han 26:14

HFST. 22

b Flp 1:7

c Ro 11:1

d Han 21:39

e Han 5:34

f Han 26:4, 5

g Ga 1:14
Flp 3:4-6

h Han 8:3
Han 9:1, 2
Han 26:9-11
1Ti 1:12, 13

i Han 9:3-8
Han 26:13-15

j Han 26:16

dat hy toestemming gegee het, het Paulus, wat op die trap gestaan het, met sy hand vir die volk beduie. Toe die mense stil word, het hy in Hebreeus met hulle gepraat^a en gesê:

22 "Manne, broers en vaders, luister nou na my verdediging."^b **2** Wel, toe hulle hoor dat hy in Hebreeus met hulle praat, was hulle nog stiller, en hy het gesê: **3** "Ek is 'n Jood,^c gebore in Tarsus van Sili'sië,^d maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gama'liël.^e Ek is onderrig volgens die strengheid van die Wet wat ons voorvaders gevolg het,^f en ek is ywerig vir God net soos julle almal vandag is.^g **4** Ek het hierdie Weg tot die dood toe vervolgt en mans sowel as vrouens geboei en aan tronke oorgelewer,^h **5** soos die hoëpriester en die hele vergadering van ouermanne kan getuig. Ek het ook briewe by hulle gekry om na die broers in Damaskus te neem, en ek was op pad om dié wat daar was, te boei en na Jerusalem te bring om gestraf te word.

6 "Maar terwyl ek gereis het en naby Damaskus gekom het, omtrent in die middel van die dag, het daar skielik 'n groot lig uit die hemel op my geskyn,ⁱ **7** en ek het op die grond geval en 'n stem vir my hoor sê: 'Saul, Saul, hoekom vervolgt jy my?' **8** Ek het geantwoord: 'Wie is u, Here?' En hy het vir my gesê: 'Ek is Jesus die Narsarener, wat jy vervolgt.' **9** Die manne wat saam met my was, het die lig gesien, maar hulle het nie die stem gehoor van die een wat met my gepraat het nie. **10** Toe het ek gevra: 'Wat moet ek doen, Here?' Die Here het vir my gesê: 'Staan op, gaan in Damaskus in, en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.'

11 Maar omdat daardie lig so skerp was, kon ek niks sien nie, en dié wat saam met my was, het my aan die hand tot in Damaskus gelei.

12 "Anani'as, 'n godvresende man wat volgens die Wet gelewe het en oor wie al die Jode wat daar gebly het, goeie dinge gesê het, 13 het toe na my toe gekom. Hy het by my gestaan en vir my gesê: 'Saul, broer, sien weer!' En op daardie oomblik het ek opgekyk en hom gesien.^a

14 Hy het gesê: 'Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te leer ken en die Regverdige te sien^b en sy stem te hoor, 15 want jy moet by alle mense vir hom 'n getuie wees van die dinge wat jy gesien en gehoor het.^c 16 Waarvoor wag jy nou? Staan op, laat jou doop en was jou sondes af^d deur sy naam aan te roep.^e

17 "Maar toe ek teruggegaan het na Jerusalem^f en besig was om in die tempel te bid, het ek 'n visioen gehad 18 en die Here gesien. Hy het vir my gesê: 'Maak gou en gaan vinnig uit Jerusalem uit, want hulle sal nie jou getuienis oor my aanvaar nie.'^g 19 Ek het gesê: 'Here, hulle weet goed dat ek dié wat in u glo, in die tronk gegooi het en in die een sinagoge ná die ander geslaan het.^h 20 En toe hulle Stefa'nus, u getuie, doodgemaak het, het ek daar gestaan en dit goedgekeur, en ek het die bo-klere opgepas van dié wat hom doodgemaak het.'ⁱ 21 Tog het hy vir my gesê: 'Gaan, want ek sal jou na nasies stuur wat ver van hier af is.'^j

22 Die volk het tot op daardie oomblik na hom geluister. Toe het hulle begin uitroep: "So 'n mens moet doodgemaak word, want hy verdien nie om te lewe nie!" 23 Omdat hulle uitgeroep en hulle bo-klere rond-

- HFST. 22
- a Han 9:17, 18
- b 1Kor 9:1
1Kor 15:8
Ga 1:15, 16
- c Han 23:11
Han 26:16
- d 1Kor 6:11
1Jo 1:7
Op 1:5
- e Han 10:43
- f Han 9:26
Ga 1:18
- g Han 9:28, 29
- h Han 8:3
- i Han 7:58
Han 8:1
1Ti 1:13, 15
- j Han 9:15
Han 13:2
Ro 1:5
Ro 11:13
Ga 2:7
1Ti 2:7
- Tweede kol.
- a 2Sa 16:13
- b Han 16:37, 38
Han 23:27
- c Han 16:37
- d Han 25:16
- e Mt 10:17, 18
Lu 21:12

gegooi en stof in die lug gegooi het,^a 24 het die militêre bevelvoerder beveel dat Paulus in die soldate se kwartiere inbringing moet word. Hy het gesê dat hulle hom met 'n gésel* moet slaan terwyl hy ondervra word, sodat hy kon uitvind presies hoekom hulle so teen Paulus skree. 25 Maar toe hulle hom uitstrek om hom te slaan, het Paulus vir die militêre offisier wat daar gestaan het, gesê: "Het julle die reg om 'n Romein[#] wat nog nie verhoor is nie,^Δ met 'n gésel* te slaan?"^b 26 Wel, toe die militêre offisier dit hoor, het hy na die militêre bevelvoerder toe gegaan. Hy het hom hiervan vertel en vir hom gesê: "Wat is u van plan om te doen? Hierdie man is dan 'n Romein." 27 Toe het die militêre bevelvoerder nader gekom en vir hom gevra: "Sê vir my, is jy 'n Romein?" Hy het gesê: "Ja." 28 Die militêre bevelvoerder het toe gesê: "Ek het hierdie burgerskap vir 'n groot bedrag geld gekoop." Paulus het gesê: "Maar ek is as 'n Romein gebore."^c

29 Daarom het die manne wat op die punt gestaan het om hom te martel en hom te ondervra, hom onmiddellik uitgelos, en die militêre bevelvoerder het bang geword toe hy besef dat hy 'n Romein is en dat hy hom laat boei het.^d

30 Omdat hy met sekerheid wou weet waarvan die Jode Paulus beskuldig, het hy hom die volgende dag vrygelaat en die hoofpriesters en die hele Sanhe'drin beveel om bymekaar te kom. Toe het hy Paulus afgebring en hom tussen hulle laat staan.^e

22:24, 25 *Sien Woordelys. 22:25 [#]Of "Romeinse burger". ^ΔOf "wat onveroordeeld is".

23 Paulus het reguit na die Sanhe'drin gekyk en gesê: "Manne, broers, ek het tot vandag toe met 'n skoon getewete^a voor God gelewe." **2** Toe het die hoëpriester Anani'as dié wat by hom gestaan het, beveel om hom op die mond te slaan. **3** Toe het Paulus vir hom gesê: "God gaan jou slaan, jou skynheilige.* Jy sit om my volkyn die Wet te oordeel, maar terselfdertyd oortree jy die Wet deur te beveel dat ek geslaan moet word." **4** Dié wat daar gestaan het, het gevra: "Beledig jy die hoëpriester van God?" **5** Paulus het gesê: "Broers, ek het nie geweet dat hy hoëpriester is nie. Want daar is geskryf: 'Jy mag nie 'n heerser van jou volk beledig nie.'"^b

6 Paulus het geweet dat die een deel Sadduseërs is en dat die ander deel Fariseërs is, en daarom het hy in die Sanhe'drin uitgeroep: "Manne, broers, ek is 'n Fariseër,^c 'n seun van Fariseërs. Ek word geoordeel omdat ek in die opstanding van die dooies glo." **7** Omdat hy dit gesê het, het daar onenigheid tussen die Fariseërs en die Sadduseërs ontstaan, en die vergadering was verdeeld. **8** Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding of engel of gees is nie, maar die Fariseërs glo wel daarin.^d **9** Toe het die mense hard begin skree, en sommige van die skrifgeleerdes van die party van die Fariseërs het opgestaan en erg begin stry en gesê: "Ons vind niks verkeerd in hierdie man nie, maar as 'n gees of 'n engel met hom gepraat het^e . . ." **10** En toe die onenigheid erger word, was die militêre bevelvoerder bang dat

23:3 *Of "jou witgeverfde muur".
23:8 *Of "verkondig dit in die openbaar".

HFST. 23

a Han 24:15, 16
 2Kor 1:12
 Heb 13:18
 1Pe 3:16

b Eks 22:28

c Han 26:4, 5
 Flp 3:4, 5

d Han 4:1, 2

e Han 22:6, 7
 Han 22:17, 18

Tweede kol.

a Han 18:9

b Han 27:23, 24
 Han 28:23
 Han 28:30, 31

hulle Paulus sou doodmaak. Hy het die soldate beveel om af te gaan om Paulus tussen hulle te gaan haal en hom in die soldate se kwartiere in te bring.

11 Maar die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: "Moenie moed verloor nie!^a Want net soos jy in Jerusalem deeglik oor my getuig het, so moet jy ook in Rome getuig."^b

12 Toe dit dag word, het die Jode 'n plan beraam om Paulus dood te maak. Hulle het 'n eed afgelê dat hulle vervloek sou wees as hulle eet of drink voordat hulle Paulus doodgemaak het. **13** Daar was meer as 40 manne wat hierdie eed afgelê het. **14** Hierdie manne het na die hoofprieesters en die ouermanne toe gegaan en gesê: "Ons het 'n eed afgelê dat ons vervloek sal wees as ons enigets eet voordat ons Paulus doodgemaak het. **15** Julle en die Sanhe'drin moet dan nou vir die militêre bevelvoerder laat weet dat hy Paulus na julle toe moet bring. Julle moet maak asof julle sy saak noukeuriger wil ondersoek. Maar voordat hy naby kom, sal ons gereed wees om hom dood te maak."

16 Maar die seun van Paulus se suster het gehoor dat hulle beplan om hom voor te lê, en hy het in die soldate se kwartiere ingegaan en Paulus hiervan vertel. **17** Paulus het toe een van die militêre offisiere na hom toe geroep en gesê: "Neem hierdie jong man na die militêre bevelvoerder toe, want hy het iets om vir hom te vertel." **18** Toe het hy hom geneem en hom na die militêre bevelvoerder toe gelei en gesê: "Die gevangene Paulus het my geroep en my gevra om hierdie jong man na u toe te bring, want hy het iets om vir u te vertel." **19** Die

militêre bevelvoerder het hom by die hand eenkant toe geneem en gevra: "Wat het jy om vir my te vertel?" **20** Hy het gesê: "Die Jode het ingestem om u te vra om Paulus môre na die Sanhe'drin te bring. Hulle gaan maak asof hulle sy saak noukeuriger wil ondersoek.^a **21** Maar moenie dat hulle u oorreed nie, want môre gaan meer as 40 van hulle manne hom voorlê, en hulle het 'n eed afgelê dat hulle vervloek sal wees as hulle eet of drink voordat hulle hom doodgemaak het.^b Hulle is nou gereed en wag net dat u toestemming gee." **22** Toe het die militêre bevelvoerder die jong man laat gaan nadat hy hom beveel het: "Moet vir niemand sê dat jy my hiervan vertel het nie."

23 En hy het twee van die militêre offisiere geroep en vir hulle gesê: "Kry 200 soldate, 70 perderuiters en 200 spiesvegters gereed om teen die derde uur van die nag* tot by Sesare'a te gaan. **24** Sorg ook dat daar perde beskikbaar is om Paulus veilig na Feliks die goewerneur te neem." **25** En hy het die volgende brief geskryf:

26 "Van Claudius Li'sias aan Sy Eksellensie, goewerneur Feliks: Groete! **27** Hierdie man is deur die Jode gegryp en is amper deur hulle doodgemaak, maar ek het vinnig met my soldate gekom en hom gered,^c want ek het uitgevind dat hy 'n Romein is.^d **28** En omdat ek wou uitvind waarvan hulle hom beskuldig, het ek hom na hulle Sanhe'drin gebring.^e **29** Ek het uitgevind dat hy beskuldig word van dinge wat met hulle Wet verband hou,^f maar dat hy niks gedoen het wat die dood of tronkstraf verdien nie.

23:23 *D.w.s. omtrent 21:00.

HFST. 23
a Han 23:15
b Han 23:12
c Han 21:31-33
d Han 16:37
Han 22:25
e Han 22:30
f Han 25:19
Tweede kol.
a Han 23:16
b Han 23:23, 24
c Han 21:39
Han 22:3
d Han 24:1
HFST. 24
e Han 23:2
f Han 23:26

30 Maar omdat ek gehoor het dat hulle beplan om hom dood te maak,^a stuur ek hom dadelik na u toe en beveel ek die beskuldigers om voor u te sê wat hulle teen hom het."

31 Toe het hierdie soldate Paulus geneem,^b net soos hulle beveel is, en hom in die nag na Anti'patris gebring. **32** Die volgende dag het hulle die perderuiters toegelaat om verder saam met hom te gaan, maar hulle het na die soldate se kwartiere teruggegaan. **33** Die perderuiters het in Sesare'a ingegaan en die brief vir die goewerneur gegee en Paulus ook aan hom oorhandig. **34** Toe het hy dit gelees en gevra van watter provinsie hy is en uitgevind dat hy van Sili'sië^c is. **35** Hy het gesê: "Ek sal seker maak dat jy behoorlik verhoor word wanneer jou beskuldigers hier aankom."^d En hy het beveel dat hy in Herodes se paleis* bevaak word.

24 Vyf dae later het die hoë priester Anani'as^e saam met party ouermanne en 'n openbare spreker* met die naam Tertul'lus gekom en voor die goewerneur gesê waarvan hulle Paulus aankla.^f **2** Toe Tertul'lus geroep is, het hy Paulus voor die goewerneur begin beskuldig en gesê:

"As gevolg van u geniet ons groot vrede, en weens u vooruitbeplanning vind daar veranderinge in hierdie nasie plaas. **3** Ons erken dit te alle tye en ook op alle plekke met die grootste dankbaarheid, Eksellensie Feliks. **4** Maar ek wil u nie verder ophou nie, en daarom smee ek u om uit die goedheid van u hart 'n kort rukkie

23:35 *Of "pretoriaanse paleis". 24:1 *Of "n advokaat".

na ons te luister. **5** Want ons het gevind dat hierdie man 'n pes* is^a en dat hy al die Jode oor die hele aarde in opstand laat kom,^b en hy is 'n leier van die sekte van die Nasareners.^c **6** Hy het ook probeer om die tempel te onheililig, en daarom het ons hom gearresteer.^d **7** * — **8** Wanneer u hom ondervra, sal u uitvind van al hierdie dinge waarvan ons hom beskuldig.”

9 Toe het die Jode hom ook begin beskuldig en gesê dat hierdie dinge waar is. **10** Toe die goewerneur met 'n knik vir Paulus beduie om te praat, het hy gesê:

“Omdat ek goed weet dat hierdie nasie u al baie jare lank as regter het, sal ek myself met graagte voor u verdedig.^e **11** Ek het eers 12 dae gelede in Jerusalem aangekom om te aanbid, en as u wil, kan u uitvind of dit waar is.^f **12** Toe hulle my vind, was ek nie besig om in die tempel met iemand te stry of om die mense in die sinagoges of iewers in die stad opstandig te maak nie. **13** Hulle kan ook nie vir u bewys dat die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, waar is nie. **14** Maar ek erken wel dat ek heilige diens aan die God van my voorvaders^g verrig volgens hierdie weg wat hulle 'n sekte noem. Ek glo alles wat in die Wet en in die boeke van die profete geskryf is.^h **15** En ek het die hoop op God, 'n hoop waarna hierdie manne ook uitsien, dat daar 'n opstandingⁱ van die regverdiges en die onregverdiges^j sal wees. **16** As gevolg hiervan probeer ek om altyd 'n skoon gewete voor God en mense te hê.^k **17** Ná 'n hele

24:5 *Of “moeilikheidmaker”. **24:7** *Sien Aanh. A3.

HFST. 24

a Mt 5:11
Han 16:20, 21
Han 17:6, 7

b Lu 23:1, 2

c Mt 2:23
Han 28:22

d Han 21:27, 28

e Flp 1:7

f Han 21:17, 26

g Eks 3:15
Han 3:13
2Ti 1:3

h Han 28:23
Ro 3:21

i Jes 26:19
Mt 22:31, 32
Lu 14:13, 14
Joh 5:28, 29
Joh 11:25
Heb 11:35
Op 20:12

j Lu 23:43

k Han 23:1
1Kor 4:4
Heb 13:18

Tweede kol.

a 2Kor 8:4

b Han 21:24, 26

c Han 25:16

d Han 23:6

e Han 9:1, 2
Han 19:9

f Mt 10:18

g Han 17:30, 31
2Kor 5:10

paar jaar het ek gekom om bydraes*^a vir my nasie te gee en om offers te bring. **18** Terwyl ek hiermee besig was, het hulle my in die tempel gevind, en ek was seremonieel gereinig,^b maar ek was nie saam met 'n skare of besig om 'n opskudding te veroorsaak nie. Daar was egter party Jode van die provinsie Asië **19** wat hier voor u behoort te wees om my te beskuldig as hulle nou eintlik enigiets teen my het.^c **20** Of laat die manne wat hier is, self sê wat ek verkeerd gedoen het toe hulle my voor die Sanhedrin laat staan het, **21** behalwe vir hierdie een ding wat ek uitgeroep het terwyl ek tussen hulle gestaan het: ‘Oor die opstanding van die dooies word ek vandag voor julle geoordeel!’”^d

22 Maar Feliks, wat die feite oor hierdie Weg^e goed geken het, het hulle weggestuur deur te sê: “Wanneer Li'sias die militêre bevelvoerder kom, sal ek oor hierdie saak besluit.” **23** En hy het die militêre offisier beveel dat Paulus gevange gehou moet word, maar dat hy 'n mate van vryheid mag hê en dat sy mense toegelaat moet word om vir hom te sorg.

24 'n Paar dae later het Feliks saam met sy Joodse vrou, Drusilla, gekom, en hy het Paulus laat kom en geluister hoe hy oor die geloof in Christus Jesus praat.^f **25** Maar terwyl Paulus gepraat het oor regverdigheid en selfbeheersing en die oordeel wat gaan kom,^g het Feliks bang geword en geantwoord: “Vir eers kan jy maar gaan, maar wanneer ek 'n geleentheid het, sal ek jou weer laat kom.” **26** Terselfdertyd het hy gehoop dat Paulus vir hom geld sou gee.

24:17 *Of “genadegawes”.

Daarom het hy hom nog meer gereeld laat roep en met hom gepraat. **27** Maar ná twee jaar is Feliks deur Porcius Festus opgevolg, en omdat Feliks die Jode se goedkeuring wou hê,^a het hy Paulus in die tronk gelos.

25 Drie dae nadat Festus^b in die provinsie Jude'a aangekom het en goewerneur geword het, het hy van Sesare'a na Jerusalem gegaan. **2** En die hoofpriesters en die Joodse leiers het Paulus by Festus beskuldig.^c Toe het hulle Festus begin smee **3** om hulle 'n guns te doen deur Paulus na Jerusalem te laat kom. Maar hulle het beplan om Paulus langs die pad voor te lê en hom dood te maak.^d **4** Festus het egter gesê dat Paulus in Sesare'a gevangene sou bly en dat hy self binnekort sou teruggaan soontoe. **5** Hy het gesê: "Laat die leiers onder julle saam met my kom en hom beskuldig as die man enigiets verkeerd sê." ^e

6 En nadat hy sowat agt of tien dae by hulle gebly het, het hy na Sesare'a gegaan. Die volgende dag het hy op die regterstoel gaan sit en beveel dat Paulus ingebring moet word. **7** Toe hy inkom, het die Jode wat van Jerusalem af gekom het, rondom hom gaan staan en 'n groot aantal ernstige aanklagte teen hom ingebring wat hulle nie kon bewys nie.^f

8 Maar Paulus het homself verdedig deur te sê: "Ek het nie teen die Wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie."^g **9** Festus, wat die Jode se goedkeuring wou hê,^h het vir Paulus gevra: "Wil jy Jerusalem toe gaan en daar voor my oor hierdie dinge geoordeel word?" **10** Maar Paulus het gesê: "Ek

HFST. 24
a Han 25:9
HFST. 25
b Han 24:27
c Han 24:1
d Han 23:20, 21
e Han 25:16
f Mt 5:11
Lu 23:1, 2
Han 24:5
g Han 24:11, 12
h Han 24:27
Tweede kol.
a Han 23:26, 29
b Han 28:17-19
c Han 25:2, 3
d Han 25:5

staan voor die regterstoel van die keiser, waar ek geoordeel moet word. Ek het niks verkeerd teen die Jode gedoen nie, soos u ook heel goed weet. **11** As ek dan regtig 'n misdadiger is en enigiets gedoen het wat die dood verdien,^a vra ek nie om die dood vry te spring nie. Maar as hierdie manne se beskuldigings teen my vals is, kan geen mens my as 'n guns aan hulle oorlewer nie. Ek wil hê dat die keiser my saak moet verhoor!"^b **12** Toe het Festus, nadat hy met die vergadering van raadgewers gepraat het, geantwoord: "Jy wil hê dat die keiser jou saak moet verhoor - na die keiser sal jy gaan."

13 Ná 'n paar dae het koning Agrip'pa en Bernice in Sesare'a aangekom vir 'n amptelike besoek* aan Festus. **14** Omdat hulle 'n aantal dae daar gebly het, het Festus Paulus se saak met die koning bespreek en gesê:

"Daar is 'n sekere man wat deur Feliks as gevangene agtergelaat is, **15** en toe ek in Jerusalem was, het die hoofpriesters en die ouermanne van die Jode hom by my kom beskuldig^c en gevra dat hy gestraf moet word. **16** Maar ek het vir hulle gesê dat dit nie die Romeinse prosedure is om enige mens as 'n guns oor te lewer voordat die beskuldigde voor sy beskuldigers verskyn en 'n kans kry om homself te verdedig nie.^d **17** Toe hulle dan hier aangekom het, het ek nie tyd gemors nie, maar die volgende dag het ek op die regterstoel gaan sit en beveel dat die man ingebring moet word. **18** Toe die beskuldigers opstaan en begin praat, het hulle hom nie van enige van die goddelose dinge

25:13 * Of "n beleefdheidsbesoek".

aangekla wat ek gedink het hy gedoen het nie.^a **19** Daar was net sekere dinge waaroor hulle nie met hom saamgestem het nie. Dit het verband gehou met hulle eie godsdiens*^b en met 'n man met die naam Jesus wat dood is, maar Paulus het bly beweerd dat hy nog lewe.^c **20** Omdat ek nie geweet het hoe om hierdie saak te hanteer nie, het ek gevra of hy na Jerusalem wil gaan en daar oor hierdie dinge geoordeel wil word.^d **21** Maar toe Paulus vra om in die tronk te bly terwyl hy vir die besluit van die keiser*^e wag, het ek bevestig dat hy aangehou moet word totdat ek hom na die keiser kan stuur.”

22 Toe het Agrip'pa vir Festus gesê: “Ek sou graag self die man wil hoor.”^f Hy het gesê: “Môre sal u hom hoor.”

23 Agrip'pa en Bernice het toe die volgende dag gekom, en hulle deftige voorkoms het baie aandag getrek. Hulle het saam met militêre bevelvoerders en die belangrike manne van die stad in die gehoorsaal ingegaan, en toe Festus die bevel gee, is Paulus ingebing. **24** Festus het gesê: “Koning Agrip'pa en almal wat hier saam met ons teenwoordig is, kyk, hier is die man. Al die Jode van Jerusalem en van hierdie plek het na my toe gekom en geskree dat hy nie langer behoort te lewe nie.^g **25** Maar ek het gevind dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie.^h En toe hierdie man sê dat hy na die keiser wil gaan, het ek besluit om hom te stuur. **26** Maar ek het niks wat ek met sekerheid oor hom aan my Heer kan skryf nie. Daarom het ek hom voor julle almal gebring, en

25:19 *Of “aanbidding van die godheid”. 25:21 *Of “die Augustus”, 'n titel vir die Romeinse keiser.

HFST. 25

a Han 25:7

b Han 18:14, 15
Han 23:26, 29

c Han 22:6-8

d Han 25:9

e Han 25:11, 12

f Han 9:15

g Han 22:22

h Han 23:26, 29

Tweede kol.

HFST. 26

a Han 25:13

b Han 24:5, 9

c Ga 1:13, 14

d Han 23:6
Flp 3:4, 5

e Han 22:3

f Han 24:15

g Han 24:20, 21

h Han 9:1, 2, 14

veral voor u, koning Agrip'pa, sodat ek ná die geregtelike ondersoek iets kan hê om te skryf. **27** Want dit lyk vir my onredelik om 'n gevangene te stuur sonder om te sê wat die aanklagte teen hom is.”

26 Agrip'pa^a het vir Paulus gesê: “Jy mag vir jouself praat.” Toe het Paulus sy hand uitgesteek en homself begin verdedig en gesê:

2 “Ek is bly, koning Agrip'pa, dat ek my vandag voor u kan verdedig in verband met alles waarvan die Jode my beskuldig,^b **3** veral omdat u al die gebruikte en geskille onder die Jode baie goed ken. Daarom smee ek u om geduldig na my te luister.

4 “Al die Jode weet goed hoe ek van die begin af, van jongs af, my lewe onder my volk* en in Jerusalem geleidelik het.^c **5** Hulle ken my al lank, en as hulle bereid is, kan hulle getuig dat ek 'n Fariseër^d was en volgens die strengste riglyne van ons godsdiens gelewe het.^e **6** Maar nou word ek verhoor as gevolg van die hoop op die belofte wat God aan ons voorvaders gemaak het,^f **7** en ons 12 stamme hoop om die vervulling van hierdie selfde belofte te sien deur dag en nag ywerig heilige diens vir hom te doen. Dit is oor hierdie hoop dat ek deur die Jode aangekla word,^g o Koning.

8 “Hoekom is dit vir julle so moeilik om te glo dat God die dooies opwek? **9** Persoonlik was ek daarvan oortuig dat ek alles in my vermoë moes doen om die naam van Jesus die Nasarener teë te staan. **10** Dit is presies wat ek in Jerusalem gedoen het, en met die toestemming van die hoofpriesters^h het

26:4 *Of “nasie”.

ek baie van die heiliges in tronke opgesluit,^a en wanneer hulle doodgemaak moes word, het ek daarvoor gestem. **11** En ek het hulle probeer dwing om hulle geloof te verlaat deur hulle dikwels in al die sinagoges te straf, en omdat ek briesend kwaad was vir hulle, het ek hulle selfs in ander stede vervolgt.

12 "Terwyl ek dit gedoen het en na Damaskus gereis het met die toestemming en 'n opdrag van die hoofpriesters, **13** het ek, o Koning, in die middel van die dag 'n lig op die pad gesien wat helderder as die son was. Dit het uit die hemel op my geskyn, en op dié wat saam met my gereis het.^b **14** En toe ons almal op die grond val, het ek gehoor hoe 'n stem in Hebreeus vir my sê: 'Saul, Saul, hoekom vervolg jy my? Jy maak dit vir jouself moeilik deur teen die prikkels* te bly skop.' **15** Maar ek het gesê: 'Wie is u, Here?' En die Here het gesê: 'Ek is Jesus, wat jy vervolgt. **16** Maar staan op, want ek het aan jou verskyn om jou uit te kies as 'n kneg en 'n getuie van dinge wat jy gesien het sowel as dinge wat ek jou omtrent my sal laat sien.^c **17** En ek sal jou red van hierdie volk en van die nasies, na wie ek jou stuur,^d **18** om hulle oë te open,^e om hulle uit die duisternis^f na die lig^g en van die gesag van Satan^h na God te lei, sodat hulle sondes vergewe kan word en hulle 'n erfenis kan ontvang onder dié wat deur hulle geloof in my geheilig is.'

19 "Ek was dus nie ongehoorsaam aan die hemelse visioen nie, koning Agrip'pa, **20** maar ek het eers aan dié in Damaskusⁱ en toe aan dié in Jerusalem^k en in die hele land van Jude^a en ook aan die nasies die

HFST. 26

- a Joh 16:2
Han 8:3
1Kor 15:9
Ga 1:13
1Ti 1:13
- b Han 9:3-5
Han 22:6-8
- c Han 22:14, 15
Ga 1:11, 12
1Ti 1:12
- d Han 22:21
Ro 11:13
- e Jes 61:1
- f Kol 1:13
- g Joh 8:12
2Kor 4:6
- h Ef 2:1, 2
- i 1Jo 3:5
- j Han 9:22
- k Han 9:28

Tweede kol.

- a Mt 3:8
- b Han 21:30, 31
- c Lu 24:27, 44
Ro 3:21
- d Ps 22:7
Ps 35:19
Jes 50:6
Jes 53:5
- e Ps 16:10
- f Ps 18:49
Jes 11:10
Lu 2:30-32
- g Joh 18:20

boodskap gebring dat hulle berou moet hê en God moet aanbied deur werke te doen wat by berou pas.^a **21** Daarom het die Jode my in die tempel gearresteer en my probeer doodmaak.^b **22** Maar omdat God my gehelp het, gaan ek tot vandag toe voort om vir klein sowel as groot te getuig, maar ek sê niks behalwe die dinge wat die boeke van die profete sowel as Moses gesê het sou gebeur nie^c – **23** dat die Christus moes ly^d en dat hy, as die eerste een wat uit die dood opgewek sou word,^e lig aan hierdie volk sowel as aan die nasies sou verkondig."^f

24 En terwyl Paulus hierdie dinge gesê het om homself te verdedig, het Festus in 'n harde stem gesê: "Jy is van jou kop af, Paulus! Al jou geleerdheid maak jou mal!" **25** Maar Paulus het gesê: "Ek word nie mal nie, Eksellensie Festus, maar ek praat die waarheid en met gesonde verstand. **26** Want die koning met wie ek nou so vryelik praat, weet van hierdie dinge. Ek is daarvan oortuig dat hy van al hierdie dinge bewus is, want dit het nie iewers in 'n hoek gebeur nie.^g **27** Glo u die Profete, koning Agrip'pa? Ek weet dat u glo." **28** Agrip'pa het vir Paulus gesê: "Jy sal my in 'n kort tydjie oorreed om 'n Christen te word." **29** Toe het Paulus gesê: "Ek bid tot God dat nie net u nie, maar ook almal wat vandag na my luister, of dit nou in 'n kort tydjie of in 'n lang tyd is, soos ek sal word, maar sonder hierdie boeie."

30 Toe het die koning opgestaan, en ook die goewerneur en Bernice en die manne wat by hulle gesit het. **31** En terwyl hulle op pad uit was, het hulle vir mekaar gesê: "Hierdie man doen niks wat die dood of tronk-

26:14 *Sien Woordelys, "Prikkel".

straf verdien nie.”^a **32** Agrip’-pa het toe vir Festus gesê: “Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy nie gesê het dat die keiser sy saak moet verhoor nie.”^b

27 En toe daar besluit is dat ons na Italië moet wegseil,^c het hulle Paulus en party ander gevangenes oorgelewer aan ’n militêre offisier met die naam Ju’lius, van die afdeling van Augustus. **2** Ons het op ’n skip geklim uit Adramit’-tium wat op pad was na hawens langs die kus van die provinsie Asië, en toe het ons weggeseil. Aristar’gus,^d ’n Masedoniër van Tessalo’nika, was saam met ons. **3** Die volgende dag het ons by Sidon aangekom, en Ju’lius het Paulus goed* behandel en hom toegelaat om na sy vriende toe te gaan sodat hulle vir hom kan sorg.

4 En ons het daarvandaan weggevaar en naby Siprus geseil, wat as beskerming gedien het teen die winde wat teen ons was. **5** Toe het ons deur die oop see langs Sili’sië en Pamfi’lië gevaar en by die hawe van Mira in Li’sië aangekom. **6** Daar het die militêre offisier ’n skip gevind wat uit Aleksandrië na Italië geseil het, en hy het ons daarop laat klim. **7** Nadat ons ’n hele aantal dae stadig verder geseil het, het ons met ’n groot gesukkel by Knidus aangekom. Omdat die wind dit vir ons moeilik gemaak het om verder te gaan, het ons naby Kreta verby Salmo’ne geseil, waar ons teen die winde beskerm was. **8** En ons het met ’n groot gesukkel langs die kus gevaar en by ’n plek gekom met die naam Mooi Hawens, wat naby die stad Lase’a is.

27:3 *Of “met mensliewendheid”.

HFST. 26

a Han 23:26, 29
Han 25:24, 25

b Han 25:11, 12

HFST. 27

c Han 25:12

d Han 19:29
Han 20:4
Kol 4:10

Tweede kol.

a Le 16:29, 30
Le 23:27

9 ’n Hele paar dae het verbygegaan, en dit het gevaarlik geword om verder te reis, want selfs die vas van die Ver-soendag^a was reeds verby. Paulus het dus ’n voorstel gemaak **10** en vir hulle gesê: “Manne, ek sien dat hierdie reis tot skade en groot verlies gaan lei, nie net van die vraag en die skip nie, maar ook van ons lewens.”* **11** Maar die militêre offisier het eerder na die stuurman en die eienaar van die skip geluister as na wat Paulus gesê het. **12** Omdat die hawe nie geskik was om die hele winter daar te bly nie, het die meerderheid voorgestel dat hulle daarvandaan wegseil om te sien of hulle miskien die winter in Feniks kon deurbly, ’n hawe van Kreta wat oop lê na die noordooste en na die suidooste.

13 Toe die suidewind saggies begin waai, het hulle gedink dat dit nou ’n goeie tyd is om na Feniks te vertrek, en hulle het die anker gelig en langs die kus van Kreta geseil. **14** Maar ’n rukkie later het ’n stormwind wat Eura’kilon* genoem word, daarteen losgebars. **15** Die skip is rondgeruk en kon nie verder teen die wind gaan nie, en daarom het ons opgee en is ons deur die wind weggedryf. **16** Toe het ons tot op ’n sekere plek gevaar naby ’n eilandjie wat Kauda genoem word, waar ons teen die wind beskerm is, maar ons kon amper nie die klein bootjie* by die agterste deel van die skip onder beheer kry nie. **17** Maar nadat hulle die bootjie opgetrek het, het hulle toue styf onderom die skip vasgemaak om dit

27:10 *Of “siele”. **27:14** *D.w.s. ’n noordoostewind. **27:16** *Of “sloep”, ’n bootjie wat as ’n reddingsbootjie kon dien.

te versterk. Omdat hulle bang was dat hulle op die Sirtis* gestrand sou word, het hulle die toue van die seile losgemaak en laat sak, en so het hulle verder gedryf. **18** Omdat ons geweldig deur die storm heen en weer geslinger is, het hulle die skip die volgende dag ligter begin maak. **19** En op die derde dag het hulle die toerusting van die skip in die water gegooi.

20 Toe die son en sterre dae lank nie verskyn het nie en 'n hewige storm aan die gang was, het ons uiteindelik alle hoop verloor om gered te word.

21 Nadat hulle 'n lang tyd nie geëet het nie, het Paulus opgestaan en gesê: "Manne, julle moes beslis na my geluister het en nie van Kreta af uitgevaar het nie. Dan sou ons nie hierdie skade en verlies gely het nie.^a

22 Maar ek spoor julle nou aan om nie moed te verloor nie, want nie een van julle* sal doodgaan nie. Net die skip sal vergaan. **23** Gisteraand het 'n engel^b van die God aan wie ek behoort en vir wie ek heilige diens doen, by my gestaan

24 en gesê: 'Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet voor die keiser staan,^c en kyk! ter wille van jou spaar God almal wat saam met jou seil.' **25** Moet dus nie moed verloor nie, manne, want ek glo dat God dit sal laat gebeur net soos daar vir my gesê is. **26** Maar ons moet op 'n sekere eiland uitgespoel word."^d

27 En op die 14de nag, terwyl ons op die see van A'dria heen en weer geslinger is, het die matrose om middernag begin vermoed dat hulle naby land is. **28** Hulle het die diepte ge-

meet en gevind dat dit 20 vaam* is. Toe het hulle 'n entjie verder gegaan, weer gemeet en gevind dat dit 15 vaam[#] is. **29** En omdat hulle bang was dat ons op die rotse sou beland, het hulle vier ankers van die agterste deel van die skip uitgegooi en begin wens dat dit dag moet word. **30** Maar die matrose het van die skip af probeer ontsnap. Hulle het die klein bootjie in die see laat sak en voorgegee dat hulle die ankers wat by die voorste deel van die skip is, wil laat sak. **31** Toe het Paulus vir die militêre offisier en die soldate gesê: "As hierdie manne nie op die skip bly nie, kan julle nie gered word nie."^a **32** Die soldate het toe die toue van die bootjie losgesny en dit laat afval.

33 Net voor dagbreek het Paulus almal aangemoedig om te eet en gesê: "Vandag is die 14de dag dat julle angstig wag, en julle het nog niks geëet nie. **34** Daarom moedig ek julle aan om vir julle eie beswil iets te eet, want nie 'n haar op enige van julle koppe sal verlore gaan nie." **35** Nadat hy dit gesê het, het hy 'n brood geneem, God voor hulle almal gedank, dit gebreek en begin eet. **36** Toe kry hulle almal weer moed, en hulle het begin eet. **37** Ons was altesaam 276 mense* op die skip. **38** Nadat hulle genoeg geëet het, het hulle die skip ligter begin maak deur die koring in die see te gooi.^b

39 Toe dit dag word, kon hulle land sien, maar hulle het nie geweet waar hulle was nie.^c Hulle het 'n baai met 'n strand gesien en was vasbeslote om die skip daar te laat strand

HFST. 27
a Han 27:9,10

b Han 5:18,19
Heb 1:7,14

c Han 23:11
Han 25:11,12

d Han 28:1

Tweede kol.
a Han 27:22

b Jon 1:5

c Han 28:1

27:28 *Omtrent 36 m. Sien Aanh. B14.
#Omtrent 27 m. Sien Aanh. B14.
27:37 *Of "siele".

as hulle kon. **40** Hulle het toe die ankers losgesny en dit in die see laat val en terselfder tyd die toue van die stuurspane losgemaak. Toe het hulle die voorseil gehys sodat die wind die skip strand toe kon dryf. **41** Hulle het 'n sandbank getref en die skip daarop laat strand. Die voorste deel van die skip het daarin vasgesteek en kon nie meer beweeg nie, maar die agterste deel van die skip is deur die geweld van die golwe uitmekaargeslaan.^a **42** Die soldate het toe besluit om die gevangenes dood te maak sodat niemand kan wegsweem en ontsnap nie. **43** Maar die militêre offisier was vasbeslote om Paulus veilig oor te bring en het hulle gekeer om hulle plan uit te voer. Hy het dié wat kon swem, eerste beveel om in die see te spring en by die land uit te kom. **44** Die res sou agterna kom, party op planke en party op stukke van die skip. En so het almal veilig by die land uitgekóm.^b

28 Nadat ons die eiland veilig bereik het, het ons uitgevind dat dit Malta^c genoem word. **2** Die eilandbewoners* was buitengewoon goed vir ons.[#] Hulle het ons almal vriendelik verwelkom en 'n vuur gemaak, want dit het gereën en dit was koud. **3** Maar toe Paulus 'n bondel hout bymeekaarmaak en op die vuur gooi, het 'n slang uitgekóm as gevolg van die hitte en aan sy hand vasgebyt. **4** Toe die eilandbewoners die giftige dier aan sy hand sien hang, het hulle vir mekaar begin sê: "Hierdie man is vir seker 'n moordenaar, en al het hy nie in die see gesterf nie, het Ge-

28:2 *Of "anderstalige mense". [#]Of "mensliewend teenoor ons".

HFST. 27

a Han 27:22
2Kor 11:25

b Han 27:23, 24

HFST. 28

c Han 27:26

Tweede kol.

a Lu 4:38, 39

regtigheid* hom nie toegelaat om te bly lewe nie." **5** Maar hy het die slang in die vuur afgeskud en niks oorgekóm nie. **6** Hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood sou neerval. Nadat hulle 'n lang ruk gewag het en gesien het dat hy niks oorgekóm het nie, het hulle van opinie verander en begin sê dat hy 'n god is.

7 En op daardie plek was daar landerye wat aan die belangrikste man op die eiland behoort het. Sy naam was Pub'lius, en hy het ons verwelkom en drie dae lank gasvryheid aan ons betoon. **8** Maar Pub'lius se pa was siek in die bed met koors en hewige diarree,* en Paulus het ingegaan na hom toe en gebid, sy hande op hom gelê en hom gesond gemaak.^a **9** Nadat dit gebeur het, het die res van die mense op die eiland wat siek was, ook na Paulus toe begin kom, en hulle is genees.^b **10** Hulle het hulle waardering getoon deur vir ons baie geskenke te gee, en toe ons gereedmaak om weg te seil, het hulle ons oorlaai met alles wat ons nodig gehad het.

11 Drie maande later het ons weggeseil in 'n skip wat beelde van die seuns van Zeus aan die voorkant gehad het. Die skip was uit Aleksandrië en het by die eiland gewag totdat die winter verby was. **12** Ons het by die hawe van Siraku'se aangekóm en drie dae daar gebly. **13** Van daar af het ons omgevaar en by Re'gium aangekóm. 'n Dag later het 'n suidewind begin waai, en ons het Pute'oli op die tweede dag bereik.

28:4 *Grieks: *Di'ke*, wat moontlik verwys na die godin wat wraak neem ter wille van geregtigheid of na die personifikasie van geregtigheid. **28:8** *Lett. "disenterie".

b Mt 10:8

14 Hier het ons broers gevind, wat aangedring het dat ons sewe dae by hulle bly, en toe het ons na Rome vertrek. **15** Toe die broers daar die nuus oor ons hoor, het hulle tot by die Mark van Ap'pius en die Drie Herberge gekom om ons te ontmoet. Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en nuwe moed gekry.^a **16** Toe ons uiteindelik in Rome aankom, is Paulus toegelaat om op sy eie te bly met die soldaat wat hom opgepas het.

17 Drie dae later het hy egter die Joodse leiers bymekaar-geroep en vir hulle gesê: "Manne, broers, al het ek niks teen die volk of die gebruike van ons voorvaders gedoen nie,^b is ek as 'n gevangene uit Jerusalem aan die Romeine oorgelewer.^c **18** En nadat hulle ondersoek ingestel het,^d wou hulle my vrylaat, want daar was geen rede om my dood te maak nie.^e **19** Maar toe die Jode beswaar gemaak het, kon ek nie anders as om te sê dat die keiser my saak moet verhoor nie,^f al het ek niks gehad om my nasie van te beskuldig nie. **20** Daarom het ek gevra om julle te sien en met julle te praat, want dit is as gevolg van die hoop van Israel dat ek hierdie kettling om my het."^g **21** Hulle het vir hom gesê: "Ons het nie briewe oor jou uit Jude'a ontvang nie, en nie een van die broers wat van daar af gekom het, het enigiets slegs oor jou gesê nie. **22** Maar ons wil graag by jou hoor wat jy dink, want een ding is seker: Ons weet dat daar oral teen hierdie sekte^h gepraat word."ⁱ

23 Hulle het toe gereël om op 'n sekere dag na hom toe te gaan, en selfs 'n groter groep van hulle het na die plek toe ge-

HFST. 28

a 2Kor 1:3, 4

b Han 24:11, 12
Han 25:8

c Han 21:33

d Han 24:10

e Han 23:26, 29
Han 25:24, 25
Han 26:31, 32

f Han 25:11, 12

g Han 23:6
Han 26:6
Ef 6:19, 20
2Ti 1:16

h Han 24:14

i Lu 2:34
Joh 15:19

Tweede kol.

a Joh 5:46

b Han 26:22, 23

c Han 17:2, 3

d Ro 11:8

e Jes 6:9, 10
Mt 13:14, 15

f Lu 3:4, 6
Han 13:45, 46
Han 22:21
Ro 11:11

g Ps 67:2
Ps 98:3
Jes 11:10

h Han 28:16

i Ef 6:19

gaan waar hy gebly het. En van die oggend tot die aand het hy die saak aan hulle verduidelik deur deeglik oor die Koninkryk van God te getuig. Hy het hulle uit die Wet van Moses^a en ook uit die boeke van die profete^b probeer oortuig van Jesus.^c **24** Party het begin glo wat hy gesê het, maar ander het nie geglo nie. **25** Omdat hulle nie met mekaar saamgestem het nie, het hulle begin weggaan, en Paulus het die volgende opmerking gemaak:

"Die heilige gees het gepas deur middel van die profeet Jesaja met julle voorvaders gepraat **26** en gesê: 'Gaan na hierdie volk toe en sê: "Julle sal beslis hoor, maar julle sal glad nie verstaan nie, en julle sal beslis kyk, maar julle sal glad nie sien nie."^d **27** Want die hart van hierdie volk het ongevoelig geword, en met hulle ore het hulle gehoor sonder om te reageer, en hulle het hulle oë toegemaak. Daarom sal hulle nooit met hulle oë sien en met hulle ore hoor en met hulle hart verstaan en terugdraai en deur my genees word nie."^e **28** Laat dit dan aan julle bekend wees dat hierdie redding wat van God kom, na die nasies uitgestuur is,^f en hulle sal beslis daarna luister."^g **29** *—

30 Toe het hy 'n volle twee jaar in sy eie gehuurde huis gebly,^h en hy het almal wat na hom toe gekom het, vriendelik ontvang. **31** Hy het met die grootste vrymoedigheid van spraak* die Koninkryk van God aan hulle verkondigⁱ en hulle oor die Here Jesus Christus geleer sonder dat enigiemand hom gekeer het.

28:29 *Sien Aanh. A3. **28:31** *Of "Hy het moedig".

AAN DIE ROMEINE

OORSIG

- 1 Groete (1-7)
Paulus wil Rome besoek (8-15)
Regverdige sal deur geloof lewe (16, 17)
Goddeloses het geen verskoning nie (18-32)
God se eienskappe in skepping gesien (20)
- 2 God se oordeel oor Jode en Grieke (1-16)
Hoe die gewete werk (14, 15)
Die Jode en die Wet (17-24)
Besnydenis van die hart (25-29)
- 3 "God sal betroubaar wees" (1-8)
Jode sowel as Grieke onder sonde (9-20)
Regverdigheid deur geloof (21-31)
Niemand kan God se glorieryke eienskappe volmaak weerspieël nie (23)
- 4 Abraham as regverdig beskou weens geloof (1-12)
Abraham, die vader van almal wat geloof het (11)
Belofte as gevolg van geloof ontvang (13-25)
- 5 Met God versoen deur Christus (1-11)
Dood deur Adam, lewe deur Christus (12-21)
Sonde en dood het na almal versprei (12)
Een regverdige daad (18)
- 6 Nuwe lewe deur doop in Christus (1-11)
Moenie dat sonde in julle liggame regeer nie (12-14)
Van slawe van sonde tot slawe van God (15-23)
Betaling vir sonde: dood; God se gawe: lewe (23)
- 7 Illustrasie oor bevryding van Wet (1-6)
Sonde bekend gemaak deur Wet (7-12)
Die stryd teen sonde (13-25)
- 8 Lewe en vryheid deur die gees (1-11)
Gees van aanneming getuig (12-17)
Skepping wag op vryheid van God se kinders (18-25)
"Die gees pleit vir ons" (26, 27)
Vooraf gekies deur God (28-30)
Oorwinning deur God se liefde (31-39)
- 9 Paulus hartseer oor vleeslike Israel (1-5)
Abraham se ware nageslag (6-13)
God se keuse kan nie bevraagteken word nie (14-26)
Voorwerpe van woede en van genade (22, 23)
Net 'n oorblyfsel sal gered word (27-29)
Israel se struikeling (30-33)
- 10 Hoe om God se regverdigheid te verkry (1-15)
Openbare bekendmaking (10)
Om Jehovah se naam aan te roep, beteken redding (13)
Lieflike voete van verkondigers (15)
Goeie nuus verwerp (16-21)
- 11 Die hele Israel nie verwerp nie (1-16)
Illustrasie van olyfboom (17-32)
Diepte van God se wysheid (33-36)
- 12 Julle liggame 'n lewende offerande (1, 2)
Verskillende vermoëns, een liggaam (3-8)
Hoe om as ware Christene te lewe (9-21)
- 13 Onderdanigheid aan owerhede (1-7)
Betaling van belasting (6, 7)
Liefde vervul die Wet (8-10)
Gedra julle soos mense hulle in die dag gedra (11-14)
- 14 Moenie mekaar oordeel nie (1-12)
Moenie ander laat struikel nie (13-18)
Bevorder vrede en eenheid (19-23)

- 15 Verwelkom mekaar, soos Christus gedoen het (1-13)
Paulus, kneg van die nasies (14-21)
Paulus se reisplanne (22-33)
- 16 Paulus stel Febe voor,
'n bedienaar (1, 2)

Groete aan Romeinse Christene (3-16)
Waarskuwing teen verdeeldhede (17-20)
Groete van Paulus se
medewerkers (21-24)
Heilige geheim nou bekend (25-27)

1 Van Paulus, 'n slaaf van Christus Jesus, wat geroep is om 'n apostel te wees, afgesonder vir God se goeie nuus,^a **2** wat hy voor die tyd deur sy profete in die heilige Skrif belowe het. **3** Hierdie goeie nuus gaan oor sy Seun, wat as 'n mens uit die nageslag* van Dawid^b gebore is. **4** Maar toe hy deur die krag van die heilige gees 'n opstanding uit die dood ontvang het,^c het dit hom geïdentifiseer as God se Seun^d – ja, Jesus Christus, ons Here. **5** Deur hom het ek* onverdiende goedheid ontvang, en hy het my as 'n apostel aangestel^e sodat al die nasies geloof kan hê^f en gehoorsaam kan wees om sy naam te verheerlik. **6** God het julle ook uit die nasies gekies om aan Jesus Christus te behoort – **7** aan almal wat in Rome is as God se geliefdes, wat geroep is om heiliges te wees:

Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

8 In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus vir julle almal omdat daar regoor die wêreld oor julle geloof gepraat word. **9** God, wat ek met my hele hart* dien in verband met die goeie nuus oor sy Seun, is my getuie dat ek julle altyd in

1:3 *Lett. “saad”. 1:5 *Lett. “ons”. 1:9 *Lett. “my gees”.

HFST. 1

a Han 9:11, 15

b 2Sa 7:8, 12
Lu 1:32
2Ti 2:8

c Han 13:33

d Ps 2:7
Heb 1:5

e 1Ti 2:7

f Han 15:14
Ga 2:7

Tweede kol.

a 1Te 3:10
2Ti 1:3b 1Te 5:11
Heb 10:25

c Han 19:21

d Mr 8:38
2Ti 1:8

e Heb 11:6

f Han 3:25, 26

g Han 18:5, 6

h Joh 3:36
Ro 3:21, 22i Hab 2:4
Ga 3:11
Heb 10:38j Ro 2:5
Ef 5:6

my gebede noem^a **10** en smee dat ek, as dit enigsins moontlik is, nou uiteindelik na julle toe kan kom as dit God se wil is. **11** Want ek wil julle graag sien sodat ek die een of ander geestelike gawe aan julle kan oordra om julle standvastig te maak, **12** of liever, dat ons mekaar kan aanmoedig^b deur ons geloof, julle s'n sowel as myne.

13 Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ek al dikwels beplan het om na julle toe te kom, maar ek is tot nou toe gekeer. Ek wil kom sodat my prediking daar ook goeie resultate sal hê, net soos dit onder die res van die nasies gehad het. **14** Ek het 'n verantwoordelikhed teenoor Grieke sowel as uitlanders,* teenoor wyse sowel as onverstandiges. **15** Daarom is ek gretig om die goeie nuus ook aan julle in Rome bekend te maak.^c **16** Ek skaam my nie vir die goeie nuus nie,^d want dit is God se krag tot redding vir elkeen wat geloof het,^e eers vir die Jood,^f maar ook vir die Griek.^g **17** Want daarin word God se regverdigheid geopenbaar deur geloof en vir geloof,^h net soos daar geskryf is: “Maar die regverdige sal deur geloof lewe.”ⁱ

18 God se woede^j word vanuit die hemel geopenbaar teen alle goddeloosheid en onregver-

1:14 *Of “nie-Grieke”. Lett. “Barbare”.

digheid van die mense wat die waarheid op 'n onregverdige manier onderdruk,^a **19** want wat 'n mens omtrent God kan weet, is vir hulle duidelik omdat God dit aan hulle duidelik gemaak het.^b **20** Sy onsigbare eienskappe, ja, sy ewige krag^c en Godheid,^d word van die wêreld se skepping af duidelik gesien omdat dit waargeneem kan word in die dinge wat gemaak is.^e Daarom het hulle geen verskoning nie. **21** Want al het hulle God geken, het hulle hom nie as God geloof nie en hom ook nie gedank nie, maar hulle redenasies het nutteloos geword, en hulle harte onverstandig.^f **22** Al het hulle gesê dat hulle wys is, het hulle dwaas geword **23** en die heerlikheid van die onsterflike* God verander in iets wat lyk soos die beeld van 'n sterflike^g mens of voëls of viervoetige diere of reptiele.^{ag}

24 Omdat hulle die begeertes van hulle harte wou volg, het God hulle oorgegee aan onreinheid waardeur hulle hulle liggame onteer. **25** Hulle het die waarheid van God verruil vir die leuen en het eer bewys* en heilige diens verrig aan die skepping in plaas van aan die Skepper, wat vir ewig geloof moet word. Amen. **26** Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke seksuele begeertes,^h want die vrouens het natuurlike seksuele omgang verander in iets wat teen die natuur is.ⁱ **27** En die mans het ook nie meer natuurlike seksuele omgang met vrouens nie en het 'n brandende begeerte vir mekaar gekry. Mans doen skandelijke dinge met mans^j en ontvang self die volle

1:23 *Lett. "onverderflike". ^gLett. "verderflike". ^aOf "kruipende diere".
1:25 *Of "aanbidding verrig".

HFST. 1

a Ro 1:25

b Ps 19:1
Han 14:17

c Jer 10:12

d Ps 103:19
Jer 10:10
Op 15:3e Jes 40:26
Op 4:11

f Ge 6:5

g Jer 2:11
Han 17:29h Ga 5:19
1Te 4:4, 5

i Jud 7

j Ge 19:5
Le 18:22
Le 20:13
1Kor 6:9, 10

Tweede kol.

a Ga 6:7

b Ga 5:19-21

c 1Pe 4:3

d De 5:21

e Tit 3:3

f 1Jo 3:15

g 1Pe 2:1

h Ef 4:31

i 1Pe 2:1

j De 21:18, 21

k Ro 1:21

l Op 21:8

HFST. 2

m Ro 2:9

n Mt 7:5

o Ro 11:22
Ef 1:7

p Ro 3:25

q Jes 30:18

r 2Pe 3:9

straf wat hulle vir hulle oortreding verdien.^a

28 Omdat hulle nie gedink het dat dit nodig is om erkenning aan God te gee nie, het God hulle oorgegee aan 'n denkwyse wat hy nie goedkeur nie, om die dinge te doen wat nie gepas is nie.^b **29** Hulle is vol onregverdigheid,^c goddeloosheid, gierigheid,^d slegtheid, jaloesie,^e moord,^f stryery, bedrog^g en wil slegte dinge^h aan ander doen. Hulle skinder,^Δ **30** laster^g en haat God. Hulle kry nie skaam nie en is hoogmoedig en trots. Hulle dink slegte dinge uit en is ongehoorsaam aan ouers,^j **31** sonder begrip,^k onbetroubaar, sonder natuurlike liefde en genade. **32** Al weet hulle goed wat God se regverdige oordeel is – dat mense wat sulke dinge doen, die dood verdien^l – hou hulle nie net aan om dit te doen nie, maar hulle kry ook die mense goed wat dit doen.

2 Daarom het jy o mens, wie jy ook al is,^m geen verskoning as jy oordeel nie, want as jy iemand anders oordeel, veroordeel jy jouself omdat jy wat oordeel, dieselfde dinge doen.ⁿ

2 Nou weet ons dat God se oordeel teen dié wat sulke dinge doen, in ooreenstemming met die waarheid is.

3 Maar jy, o mens wat dié oordeel wat sulke dinge doen terwyl jy dit self doen, dink jy dat jy die oordeel van God sal vryspring? **4** Of verag jy God se oorfloedige goedhartigheid^o en verdraagsaamheid^p en geduld^q omdat jy nie weet dat God jou in sy goedhartigheid wil help om berou te toon nie?^r

5 Deur jou hardkoppigheid en

1:29 *Of "hebsug". ^gOf "afguns".
^ΔOf "is fluisteraars". 1:30 *Of "is kwaadsprekers".

jou onberouvolle hart maak jy God woedend. God sal hierdie woede op die dag van sy regverdige oordeel openbaar.^a **6** En hy sal elkeen volgens sy werke terugbetaal:^b **7** Ewige lewe vir dié wat heerlikheid en eer en onsterflikheid^{*c} soek deur te volhard in goeie werk, **8** maar straf en woede vir dié wat daarvan hou om te stry en wat aan die waarheid ongehoorsaam is maar aan onregverdigheid gehoorsaam is.^d **9** Dit sal sleg gaan met almal wat slegte dinge doen, en hulle sal swaarkry, eers die Jood, maar ook die Griek, **10** maar almal wat doen wat goed is, sal heerlikheid en eer en vrede ontvang, eers die Jood,^e maar ook die Griek.^f **11** Want God is nie partydig nie.^g

12 Almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet sterf,^h maar almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word.ⁱ **13** Want dié wat hoor wat die wet sê, is nie die regverdige voor God nie, maar dié wat doen wat die wet sê, sal regverdig verklaar word.^j **14** Want wanneer mense van die nasies, wat geen wet het nie,^k van nature die dinge van die wet doen, is hierdie mense, al het hulle geen wet nie, 'n wet vir hulleself. **15** Dit is juis hulle wat toon dat die inhoud van die wet in hulle harte geskryf is, terwyl hulle gewete saam met hulle getuig en hulle deur hulle eie gedagtes beskuldig of selfs vrygespreek word. **16** Dit sal gebeur op die dag wanneer God deur Christus Jesus die geheime dinge van die mense oordeel.^l Hierdie dinge is deel van die goeie nuus wat ek bekend maak.

2:7 *Lett. "onverderflikheid".

HFST. 2

a 2Te 1:7, 8
Op 6:16, 17
Op 11:18

b Ps 62:12
Spr 24:12
Mt 16:27

c 1Kor 15:53
Op 20:6

d Ro 1:18
Kol 3:6
Heb 10:26, 27

e Joh 4:22
Han 13:45, 46

f Han 15:14

g De 10:17
2Kr 19:7
Han 10:34, 35

h Ef 2:12

i Ro 3:19

j De 30:14
Ese 20:11
Jak 1:22

k Ps 147:19, 20

l Joh 5:22
Han 10:42
1Pe 4:5

Tweede kol.

a Ro 9:6

b De 4:8

c Mt 23:2, 3

d Eks 20:15

e De 5:18

f Jes 52:5
Ese 36:20

g Ge 17:10

h 1Kor 7:19
Ga 5:3

i Ef 2:11

j Ro 4:9, 10

k Joh 8:39
Op 2:9

l 1Kor 7:19

m Ro 9:6

17 Jy is dalk nou in naam 'n Jood^a en vertrou op die wet en is trots om deel van God se volk te wees. **18** Jy ken sy wil en kan bepaal watter dinge van groot waarde is omdat jy uit die Wet geleer^{*} is.^b **19** Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, 'n lig vir dié in duisternis, **20** iemand wat onredelike mense reghelp, 'n onderrigter van jong kinders, iemand wat basiese kennis van die waarheid in die Wet het. **21** Maar jy, die een wat iemand anders leer, leer jy dan nie jouself nie?^c Jy, die een wat preek: "Moenie steel nie,"^d steel jy? **22** Jy, die een wat sê: "Moenie egbreuk pleeg nie,"^e pleeg jy egbreuk? Jy, die een wat afgode walglik vind, beroof jy tempels? **23** Jy wat trots is op die Wet, doen jy God oneer aan deur die Wet te oortree? **24** Want "die naam van God word onder die nasies gelaster as gevolg van julle," net soos daar geskryf is.^f

25 Die besnydenis^g is in werklikheid slegs voordelig as jy die wet gehoorsaam,^h maar as jy 'n oortreder van die wet is, is jy soos iemand wat nie besny is nie. **26** Maar as iemand wat nie besny is nie,ⁱ die regverdige vereistes van die Wet gehoorsaam, sal hy wees soos iemand wat besny is, nie waar nie?^j **27** En as iemand fisies nie besny is nie en die Wet gehoorsaam, sal hy jou oordeel omdat jy die Wet oortree, al is jy besny en onder die geskrewe Wet. **28** Want om 'n Jood te wees, is nie iets uiterliks nie,^k en besnydenis is ook nie iets uiterliks, aan die liggaam,^{*} nie.^l **29** 'n Ware Jood is 'n Jood in sy binne, en sy besnydenis is 'n

2:18 *Of "mondeling geleer". 2:28 *Lett. "vlees".

besnydenis van die hart^a wat deur gees gedoen is en nie deur 'n geskrewe Wet nie.^b So iemand kry lof van God, nie van mense nie.^c

3 Watter voordeel het die Jood dan, of wat is die voordeel van besnydenis? **2** Baie in elke opsig. Eerstens is die heilige verkларings van God aan hulle gegee.^d **3** Wat kan gesê word van die Jode wat 'n gebrek aan geloof het? Beteken hulle gebrek aan geloof dat God nie betroubaar is nie? **4** Belslis nie! Maar God sal betroubaar wees,^e al is elke mens 'n leuenaar,^f net soos daar geskryf is: "Sodat u regverdig bewys kan word wanneer u praat en kan wen wanneer mense u oordeel."^g **5** Maar as ons onregverdigheid wys hoe regverdig God is, wat sal ons sê? God is tog nie onregverdig wanneer hy dié straf wat hom kwaad maak nie, of hoe? (Ek praat nou in menslike terme.) **6** Glad nie! Hoe anders sal God die wêreld dan oordeel?^h

7 Maar as my leuen dit nog duideliker maak dat God die waarheid praat en hy daardeur geëer word, hoekom word ek dan ook as 'n sondaar geoordeel? **8** En hoekom sê ons dan nie: "Laat ons die slegte dinge doen, sodat die goeie dinge kan kom" nie? Party mense beweer valslik dat ons dit sê. Hierdie mense verdien die oordeel wat oor hulle kom.ⁱ

9 Wat dan? Is ons in 'n beter posisie? Glad nie! Want soos ons reeds gesê het, is almal, Jode sowel as Grieke, onder sonde,^j **10** net soos daar geskryf is: "Daar is nie 'n regverdige mens nie, nie eers een nie."^k **11** Daar

3:8 *Of "Die oordeel . . . is in ooreenstemming met geregtigheid".

HFST. 2

- a Jer 4:4
Han 7:51
Flp 3:3
b Ro 7:6
c Joh 5:44
1Kor 4:5

HFST. 3

- d De 4:8
Ps 147:19, 20
Han 7:38
e Jes 55:10, 11
Joh 8:26
2Ti 2:13
f Nu 23:19
Ps 116:11
g Ps 51:4
h Ps 9:8
Ps 96:13
Ps 98:9
Han 17:31
i Heb 2:2, 3
j Ro 3:23
Ga 3:22
k Spr 20:9
Pr 7:20

Tweede kol.

- a Ps 14:1-3
b Ps 5:9
c Ps 140:3
d Ps 10:7
Jak 3:8, 9
e Spr 1:16
f Jes 59:7, 8
g Ps 36:1
h Ro 2:12
Ro 5:13
Ga 3:10
i Ga 2:16
Ga 3:11
j Ro 7:9, 13
Ga 3:19
k Ro 1:16, 17
l Jes 53:11
Jer 31:34
Da 9:24
m Ga 3:28
n Pr 7:20
o Mt 20:28
1Ti 2:5, 6
1Pe 2:24
p Ro 5:17
q Ef 2:8

is niemand wat enige insig het nie. Daar is niemand wat God soek nie. **12** Alle mense het afgedwaal. Hulle almal het waardeleloos geword. Daar is niemand wat doen wat goed is nie, nie eers een nie."^a **13** "Hulle keel is 'n oop graf, en met hulle tonge het hulle bedrieg."^b "Die gif van slange is agter hulle lippe."^c **14** "En hulle mond is vol vervloeking en bitterheid."^d **15** "Hulle voete is vinnig om ander dood te maak."^e **16** "Hulle veroorsaak verwoesting en laat mense ly, **17** en hulle ken nie die weg van vrede nie."^f **18** "Daar is geen vrees vir God voor hulle oë nie."^g

19 Ons weet dan nou dat alles wat die Wet sê, bedoel is vir dié wat onder die Wet is, sodat niemand 'n verskoning kan hê nie en die hele wêreld skuldig voor God kan wees.^h **20** Daarom sal niemand voor hom regverdig verklaar word deur werke van die wet nie,ⁱ want die wet leer ons duidelik wat sonde is.^j

21 Maar nou is dit geopenbaar dat 'n regverdige posisie voor God sonder die Wet verkry kan word,^k soos die Wet en die boeke van die profete getuig.^l **22** Ja, almal wat geloof het, kan hierdie regverdige posisie voor God verkry deur geloof in Jesus Christus, want God trek niemand voor nie.^m **23** Want almal het gesondig, en niemand kan die heerlikheid* van God volmaak weerspieël nie.ⁿ **24** Maar Christus Jesus^o het hulle gered deur die losprys wat hy betaal het, en daarom verklaar God hulle regverdig. God het hierdie vrye gawe^p deur sy onverdiende goedheid^q aan hulle gegee. **25** God het

3:15 *Lett. "om bloed te vergiet".
3:23 *Of "die glorieryke eienskappe".

hom gegee as 'n offer sodat dié wat geloof in sy bloed stel,^a met God versoen kan word.^b Dit was sodat God sy eie regverdigheid kon toon, want hy was geduldig* en het die sondes vergeewe wat in die verlede gepleeg is. **26** Dit was ook om sy regverdigheid in hierdie tyd te toon^c sodat hy regverdig kan wees selfs wanneer hy die mens wat geloof in Jesus het, regverdig verklaar.^d

27 Het iemand dan nog rede om trots te wees? Glad nie. Watter wet gee hom rede om trots te wees? Die wet wat werke vereis?^e Nee, beslis nie, maar eerder die wet van geloof. **28** Want ons is oortuig dat 'n mens deur geloof regverdig verklaar word en nie deur werke van die wet nie.^f **29** Of is hy net die God van die Jode?^g Is hy nie ook die God van mense van die nasies nie?^h Ja, ook van mense van die nasies.ⁱ **30** Omdat God een is,^j sal hy dié wat besny is sowel as dié wat nie besny is nie,^k regverdig verklaar weens hulle geloof.^l **31** Maak ons dan 'n einde aan die wet deur middel van ons geloof? Glad nie! In werklikheid bevestig ons die wet.^m

4 Wat sal ons dan sê van Abraham, ons voorvader?* Wat het hy verkry? **2** As Abraham byvoorbeeld op grond van werke regverdig verklaar is, sou hy rede gehad het om trots te wees, maar nie voor God nie. **3** Want wat sê die Skrif? “Abraham het geloof in Jehovah* gestel, en daarom is hy as regverdig beskou.”ⁿ **4** En as iemand betaling ontvang vir werk wat hy gedoen het, is dit nie omdat

3:25 *Of “verdraagsaam”. 4:1 *Lett. “voorvader na die vlees”. 4:3, 8 *Sien Aanh. A5.

HFST. 3

- a Le 17:11
Han 13:39
Ef 1:7
- b Jes 53:11
2Kor 5:19
1Jo 2:1, 2
1Jo 4:10
- c Ps 89:14
- d 1Kor 1:30
1Jo 1:9
- e Han 13:38, 39
Ef 2:8, 9
- f Ga 2:15, 16
Jak 2:24
- g Han 17:26, 27
- h Han 10:4
- i Jes 54:5
Ro 10:12
Ga 3:14
- j De 6:4
1Kor 8:6
Ef 4:6
- k 1Kor 7:18
- l Ga 3:8
- m Mt 5:17
Ro 8:3, 4
Ro 13:10

HFST. 4

- n Ge 15:6
Ga 3:6
Jak 2:23

Tweede kol.

- a Ga 2:15, 16
- b Ps 32:1, 2
- c Ro 3:30
- d Ro 4:3
- e Ge 17:1, 2, 11
- f Ro 4:16
Ga 3:7
- g Ga 3:29
- h Ge 12:1-3
Ge 17:5, 6
Ge 22:17, 18

sy werkgewer hom 'n guns doen nie, maar dit is iets waarop hy die reg het.* **5** Maar as iemand nie werk nie maar geloof stel in die Een wat sondaars regverdig verklaar, sal hy weens sy geloof as regverdig beskou word.^a **6** Net so het Dawid gepraat van die mens wat gelukkig is omdat hy sonder werke deur God as regverdig beskou word. Dawid het gesê: **7** “Gelukkig is die mense wie se wettelose daade vergewe is en wie se sondes bedek is. **8** Gelukkig is die mens aan wie se sonde Jehovah* nie sal dink nie.”^b

9 Is hierdie geluk dan net vir mense wat besny is of ook vir mense wat nie besny is nie?^c Want ons sê: “Weens sy geloof is Abraham as regverdig beskou.”^d **10** Wanneer is hy dan as regverdig beskou? Toe hy besny was of toe hy nie besny was nie? Dit was nog voordat hy besny was. **11** En hy het 'n teken ontvang,^e naamlik die besnydenis, as 'n waarborg* dat hy weens sy geloof as regverdig beskou is toe hy nog nie besny was nie. So kon hy die vader word van almal wat geloof het,^f al is hulle nie besny nie, en hulle word ook as regverdig beskou. **12** En so kon Abraham die vader word van nakomelinge wat besny is. Maar hy is nie net die vader van dié wat besny word nie, maar ook van dié wat die geloof navolg wat ons vader Abraham^g gehad het toe hy nog nie besny was nie.

13 Dit was nie deur middel van die wet dat Abraham en sy nageslag* die belofte ontvang het dat hy die erfgenaam van 'n wêreld sou wees nie,^h maar dit

4:4 *Of “iets wat aan hom verskuldig is”. 4:11 *Lett. “seël”. 4:13 *Lett. “saad”.

was omdat hy as regverdig beskou is weens geloof.^a **14** Want as die belofte om erfgename te wees slegs gemaak is aan dié wat die wet gehoorsaam, beteken geloof niks en is dit 'n leë belofte. **15** In werklikheid veroorsaak die wet God se woede,^b maar waar daar geen wet is nie, is daar ook geen oortreding nie.^c

16 Abraham het die belofte as gevolg van sy geloof en God se onverdiende goedheid ontvang.^d Sy hele nageslag* sou beslis ook hierdie belofte ontvang,^e nie net dié wat die Wet gehoorsaam nie, maar ook dié wat die geloof navolg van Abraham, wat die vader van ons almal is.^f **17** (Dit is net soos daar geskryf is: "Ek het jou as 'n vader van baie nasies aangesel.")^g Dit was voor die oë van God, in wie Abraham geloof gehad het, die God wat die dooies lewend maak en wat van die dinge wat nie bestaan nie, praat asof dit bestaan. **18** Al was daar nie meer hoop nie, het hy tog op grond van hoop geloof gehad dat hy die vader van baie nasies sou word, volgens wat gesê is: "So sal jou nageslag* wees."^h **19** En al het hy nie swak geword in geloof nie, het hy gewete dat sy eie liggaam so goed as dood is (aangesien hy omtrent 100 jaar oud was)ⁱ en dat Sara te oud was om kinders te hê.^j **20** Maar as gevolg van die belofte van God het hy nie getwyfel en sy geloof verloor nie, maar hy het kragtig geword deur sy geloof en het eer aan God gegee. **21** Hy is heeltemaal daarvan oortuig dat God ook kon doen wat Hy belowe het.^k **22** Daarom "is hy as regverdig beskou".^l

4:16, 18 *Lett. "saad".

HFST. 4

- a Heb 11:8
b Ro 3:20
Ro 5:20
2Kor 3:7
c Ro 5:13
d Ro 3:24
e Ro 9:8
Ga 3:29
f Ro 4:11
g Ge 17:5
h Ge 15:5
Heb 11:17,18
i Ge 17:17
j Ge 18:11
Heb 11:11,12
k Heb 11:19
l Ge 15:6
Jak 2:23

Tweede kol.

- a Ro 15:4
b Han 2:24
Han 13:30
1Pe 1:21
c Mt 20:28
d Jes 53:11,12
2Kor 5:21

HFST. 5

- e Ef 2:14
f Han 13:38,39
g 2Kor 5:18
Ef 3:11,12
Heb 10:19
h Flp 2:17
1Pe 4:12,13
i Han 5:41,42
j Jak 1:12
k Flp 1:18-20
l Jos 21:45
m 2Kor 1:22
Ga 4:6
Ef 1:13,14
n Ef 2:1,5
o Jes 53:12
Joh 3:16
Ef 2:4,5
1Pe 3:18
1Jo 4:10
p Han 13:38,39
Heb 9:14
q 1Te 1:10

23 Maar die woorde "is hy as regverdig beskou", is nie net vir hom geskryf nie,^a **24** maar ook vir ons, wat as regverdig beskou sal word omdat ons in Hom glo wat Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het.^b **25** Hy is oorgelewer vir ons oortredings^c en is opgewek sodat ons regverdig verklaar kan word.^d

5 Laat ons dan vrede geniet* met God deur ons Here Jesus Christus^e noudat ons weens geloof regverdig verklaar is.^f **2** Deur middel van hom het ons ook deur geloof toegang gekry tot hierdie onverdiende goedheid wat ons nou geniet,^g en laat ons bly wees* as gevolg van die hoop wat ons het om heerlikheid van God te ontvang. **3** En nie net dit nie, maar laat ons bly wees* terwyl ons swaarkry,^h want ons weet dat die swaarkry tot volharding lei.ⁱ **4** Volharding lei tot 'n goedgekeurde toestand,^j die goedgekeurde toestand lei tot hoop,^k **5** en die hoop lei nie tot teleurstelling nie,^l want die heilige gees, wat aan ons gegee is,^m het ons harte gevul met die liefde van God.

6 Want terwyl ons nog swak was,ⁿ het Christus op die vasgestelde tyd vir goddeloses gesterf. **7** Want iemand sal nie sommer vir 'n regverdige mens sterf nie. Dalk sal iemand nog bereid wees om vir 'n goeie mens te sterf. **8** Maar God toon sy eie liefde vir ons deurdat Christus vir ons gesterf het terwyl ons nog sondaars was.^o **9** Omdat ons nou deur middel van sy bloed regverdig verklaar is,^p sal ons vir seker deur hom van die woede van God gered word.^q **10** Toe ons vyande

5:1 *Of moontlik "Ons geniet dan nou vrede". 5:2 *Of moontlik "en ons is bly". 5:3 *Of moontlik "ons is bly".

was, het ons met God versoen geraak deur die dood van sy Seun,^a maar nou dat ons versoen is, kan ons seker wees dat ons deur sy lewe gered sal word.

11 Nie net dit nie, maar ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou met God versoen is.^b

12 Sonde het dus deur een mens in die wêreld ingekom en die dood deur die sonde,^c en die dood het so na alle mense versprei omdat hulle almal gesondig het.^d **13** Want die sonde was in die wêreld voordat die Wet daar was, maar niemand word van sonde beskuldig wanneer daar geen wet is nie.^e

14 Tog het die dood as koning regeer van Adam tot by Moses, selfs oor dié wat nie gesondig het soos Adam gesondig het nie. Adam was in sekere opsigte soos die een wat sou kom.^f

15 Maar die gawe is anders as die oortreding. Want deur een mens se oortreding het baie gesterf, maar die onverdiende goedheid van God en sy vrye gawe is soveel groter en help baie mense.^g Hierdie vrye gawe is gegee saam met die onverdiende goedheid van die een mens,^h Jesus Christus. **16** Die voordele van die vrye gawe is ook nie soos die gevolge van die een mens se sonde nie.ⁱ Want as gevolg van een oortreding is alle mense veroordeel,^j maar as gevolg van die gawe wat ná baie oortredings gegee is, is baie mense regverdig verklaar.^k **17** Deur die sonde van die een mens regeer die dood as koning,^l maar God se onverdiende goedheid en sy vrye gawe van regverdigheid is soveel groter.^m Dié wat hierdie dinge ontvang, sal danksy Jesus Christus lewe,ⁿ en hulle sal as konings regeer.^o

18 Net soos die sonde van een mens vir alle soorte mense

HFST. 5

- a 2Kor 5:18
- Kol 1:21, 22
- b 2Kor 5:19
- c Ge 2:17
- Ge 3:6
- Ge 3:19
- 1Kor 15:21
- d Ps 51:5
- Ro 3:23
- e Ro 4:15
- f 1Kor 15:45
- g Jes 53:11
- Mt 20:28
- h Heb 2:9
- i Ge 2:17
- Ge 3:6
- j Ge 3:17-19
- k Ro 4:25
- l Ro 5:12, 14
- m Ro 3:24
- n 1Pe 3:18
- Op 1:5, 6
- o Op 5:9, 10
- Op 20:4

Tweede kol.

- a 1Kor 15:21
- b Ro 1:16
- 1Ti 2:3, 4
- c Joh 10:10
- d Ro 5:12
- e Jes 53:11
- Heb 2:10
- f Ro 3:20
- Ga 3:19
- g 1Kor 15:56
- h Joh 3:16
- 1Jo 4:9

HFST. 6

- i Heb 10:26, 27
- j 1Pe 2:24
- k 1Kor 12:13
- Ga 3:27
- l Mr 10:38, 39
- 1Kor 15:29
- m Kol 2:12
- n Kol 3:10
- 1Jo 3:14
- o 2Kor 4:10
- Flp 3:10
- p 1Kor 15:42, 49
- q Ga 5:24
- r Kol 2:11
- Kol 3:5
- s 2Kor 7:1

tot veroordeling gelei het,^a word alle soorte mense^b deur een regverdige daad regverdig verklaar en kan hulle die lewe verkry.^c **19** Want net soos baie deur die ongehoorsaamheid van die een mens sondaars gemaak is,^d so sal baie ook deur die gehoorsaamheid van die een persoon regverdig gemaak word.^e **20** Die Wet het gekom sodat oortreding sou toeneem.^f Maar waar die sonde meer geword het, het onverdiende goedheid selfs nog meer geword. **21** Met watter doel? Sodat, net soos die sonde as koning regeer het saam met die dood,^g die onverdiende goedheid ook as koning sou regeer deur middel van regverdigheid, wat tot die ewige lewe lei deur middel van Jesus Christus, ons Here.^h

6 Wat sal ons dan sê? Moet ons aanhou sondig sodat onverdiende goedheid kan toeneem? **2** Beslis nie! Hoe kan ons nog langer in sonde leweⁱ as ons gesterf het wat sonde betref?^j **3** Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is,^k in sy dood gedoop is nie?^l **4** Ons is dus saam met hom begrawe deur middel van ons doop in sy dood,^m sodat ons ook 'n nuwe lewe kan lei, net soos Christus deur die mag* van die Vader uit die dood opgewek is.ⁿ **5** As ons met hom verenig word wanneer ons sterf soos hy gesterf het,^o sal ons beslis met hom verenig word wanneer ons opgewek word soos hy opgewek is.^p **6** Want ons weet dat ons ou persoonlikheid saam met hom aan die paal gehang is.^q Dit was sodat ons sondige liggaam kragteloos gemaak sou word^r en ons nie langer sla-we van die sonde sou bly nie.^s

6:4 *Of "heerlikheid".

7 Want hy wat gesterf het, is vrygespreek* van sy sonde.

8 Wat meer is, as ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met hom sal lewe. 9 Want ons weet dat Christus nie meer sterf^a nou dat hy uit die dood opgewek is nie.^b Die dood is nie meer meester oor hom nie. 10 Want die dood wat hy gesterf het, het hy eens en vir altyd gesterf om die sonde weg te neem,^c maar hy lewe sodat hy God se wil kan doen. 11 Julle moet julle ook beskou as dood vir die sonde maar lewend vir God deur Christus Jesus.^d

12 Moet dan nie toelaat dat die sonde langer as koning in julle sterflike liggaam regeer^e sodat julle die begeertes daarvan gehoorsaam nie. 13 Hou ook op om julle liggame as wapens van onregverdigheid vir die sonde aan te bied. Bied julleself eerder vir God aan as mense wat dood was maar wat nou lewe, en bied ook julle liggame vir God aan as wapens van regverdigheid.^f 14 Want die sonde moenie meester oor julle wees nie, aangesien julle nie onder die wet is nie^g maar onder onverdiende goedheid.^h

15 Wat dan? Sal ons sondig omdat ons nie onder die wet is nie maar onder onverdiende goedheid? Beslis nie! 16 Weet julle nie dat julle slawe is van die een aan wie julle altyd gehoorsaam is nie? As julle dus slawe van die sonde is,^k sal dit tot die dood lei,^l maar as julle slawe van gehoorsaamheid is, sal dit tot regverdigheid lei. 17 Al was julle slawe van die sonde, dank ons God dat julle uit die hart gehoorsaam geword het aan die vorm van onderrigting wat julle ontvang het.

6:7 *Of "vrygemaak".

HFST. 6

a Op 1:17, 18

b Han 13:34

c Heb 9:28

1Pe 3:18

d 1Pe 2:24

e Ge 4:7

f Ro 12:1

g Ro 7:6

Ga 5:18

Kol 2:13, 14

h Joh 1:17

i Ro 5:21

j 2Pe 2:19

k Joh 8:34

l Ro 6:23

Tweede kol.

a Joh 8:31, 32

b 1Pe 2:24

c Ro 12:1

d Ro 8:6

Ga 5:19-21

e Ga 5:22, 23

f 1Kor 9:25

g Ge 2:17

h Mt 25:46

1Pe 1:3, 4

i 1Ti 1:16

1Jo 2:1, 2

Jud 21

HFST. 7

j 1Kor 7:39

k Mt 5:32

Mt 19:9

Mr 10:11, 12

Lu 16:18

l 1Kor 7:8, 9

1Ti 5:14

m 2Kor 11:2

18 Omdat julle van sonde vrygemaak is,^a het julle slawe van regverdigheid geword.^b 19 Ek gebruik woorde wat mense verstaan* omdat julle vlees swak is, want net soos julle julle liggaamsdele as slawe aangebied het vir onreinheid en wetteloosheid, wat tot wettelose dade lei, so moet julle nou julle liggaamsdele as slawe aanbied vir regverdigheid, wat tot heilige dade lei.^c 20 Want toe julle slawe van sonde was, was regverdigheid nie julle meester nie.

21 Wat was die gevolge van die dinge wat julle daardie tyd gedoen het? Dit is dinge waaroor julle julle nou skaam. Want hierdie dinge lei tot die dood.^d

22 Maar omdat julle nou van sonde vrygemaak is en slawe van God geword het, kan julle 'n rein lewe lei,^e wat die ewige lewe tot gevolg het.^f 23 Want die betaling vir sonde is die dood,^g maar die gawe wat God gee, is die ewige lewe^h deur Christus Jesus, ons Here.ⁱ

7 Broers, weet julle nie dat die Wet meester oor 'n mens is solank hy lewe nie? (Ek praat tog met mense wat die wet ken.) 2 'n Getroude vrou is byvoorbeeld deur die wet aan haar man gebind terwyl hy lewe, maar as haar man sterf, is sy vry van die wet van haar man.^j 3 Daarom sal sy 'n egbreekster genoem word as sy met 'n ander man trou terwyl haar man nog lewe.^k Maar as haar man sterf, is sy vry van sy wet, en dan is sy nie 'n egbreekster as sy met 'n ander man trou nie.^l

4 So het julle ook, my broers, deur die offerande van die Christus gesterf wat die Wet betref. Julle behoort nou aan iemand anders,^m aan die een wat

6:19 *Of "Ek praat in menslike terme".

uit die dood opgewek is,^a sodat ons vir God vrugte kan dra.^b **5** Want toe ons volgens die begeertes van die vlees gelewe het, het die Wet dit duidelik gemaak dat die slegte begeertes van die vlees ons liggame laat sondig het, en dit lei tot die dood.^c **6** Maar nou is ons vrygemaak van die Wet,^d want ons is nie meer daardeur gebind nie. Daarom kan ons in 'n nuwe sin slawe van God wees deur die gees,^e en nie deur die Wet soos voorheen nie.^f

7 Wat sal ons dan sê? Is die Wet sonde? Beslis nie! Ek sou nie geweet het wat sonde is as die Wet nie daar was nie.^g Ek sou byvoorbeeld nie geweet het wat sondige begeerte is as die Wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer wat aan ander behoort nie."^h **8** Maar deur hierdie gebod het sonde die geleentheid gekry om elke soort sondige begeerte in my wakker te maak, want sonder die wet was die sonde dood.ⁱ **9** In werklikheid was ek voorheen lewend sonder die wet. Maar toe die gebod kom, het die sonde weer lewend geword, en ek het gesterf.^j **10** Ek het gevind dat die gebod wat tot die lewe moes lei,^k eintlik tot die dood gelei het. **11** Want die sonde het deur hierdie gebod die geleentheid gekry om my te verlei en my daardeur dood te maak. **12** Die Wet self is dus heilig, en die gebod is heilig en regverdig en goed.^l

13 Het wat goed is dan my dood veroorsaak? Beslis nie! Maar die sonde het wel. Deur middel van wat goed is, het die sonde die dood oor my gebring^m om duidelik te maak wat sonde is. En die gebod het geopenbaar hoe sondig die sonde is.ⁿ **14** Want ons weet dat die Wet geestelik is, maar ek is

HFST. 7

- a Han 5:30
- 2Kor 5:15
- b Ga 5:22, 23
- Kol 1:10
- c Jak 1:14, 15
- d Ro 10:4
- Ef 2:15
- Kol 2:13, 14
- e Ro 12:11
- f Ga 3:10
- g Ro 3:20
- Ga 3:19
- h Eks 20:17
- De 5:21
- i Ro 4:15
- Ro 5:20
- j 2Kor 3:6
- k Le 18:5
- Lu 10:26-28
- l De 4:8
- Ps 19:8
- m 1Kor 15:56
- n Ro 5:13

Tweede kol.

- a Ps 51:5
- Joh 8:34
- Ro 6:16
- b Ge 8:21
- c Mt 26:41
- d Jer 17:9
- e 2Kor 4:16
- Ef 3:16
- Ef 4:23, 24
- f Ga 5:17
- Jak 4:1
- g Joh 8:34
- h Ro 6:13
- Ga 5:17

HFST. 8

- i Joh 8:31, 32
- Jak 1:25
- j Ro 3:20
- Heb 7:11
- k Heb 7:18

vleeslik, verkoop aan die sonde.^a **15** Ek verstaan nie wat ek doen nie. Want ek doen nie wat ek wil doen nie, maar ek doen wat ek haat. **16** Maar as ek doen wat ek nie wil nie, toon dit dat ek dink dat die Wet goed is. **17** Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar dit is die sonde wat in my is.^b **18** Ek weet dat daar niks goeds in my vlees is nie, want ek wil graag doen wat goed is, maar ek het nie die vermoë om dit te doen nie.^c **19** Want ek doen nie die goeie dinge wat ek wil doen nie, maar ek doen die slegte dinge wat ek nie wil doen nie. **20** As ek dan nou doen wat ek nie wil doen nie, is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my is.

21 Ek vind dus hierdie wet in my geval: Wanneer ek wil doen wat reg is, is ek geneig om te doen wat sleg is.^d **22** Die mens wat ek van binne is,^e vind werklik vreugde in die wet van God, **23** maar ek sien in my liggaam 'n ander wet, wat veg teen die wet van my verstand^f en my 'n gevangene maak van die wet van die sonde^g wat in my liggaam is. **24** Patetiese mens wat ek is! Wie sal my red van die liggaam wat my na hierdie dood lei? **25** Ek dank God deur Jesus Christus, ons Here! So is ek self dan met my verstand 'n slaaf van God se wet, maar met my vlees van die sonde se wet.^h

8 Daarom word dié wat in eenheid met Christus Jesus is, nie veroordeel nie. **2** Want die wet van die gees wat lewe gee in eenheid met Christus Jesus, het jou vrygemaakⁱ van die wet van sonde en die dood. **3** Wat die Wet nie kon doen nie^j omdat dit swak was^k deur die vlees, het God gedoen deur sy eie Seun in dieselfde vorm as

die sondige vlees^a te stuur^b om sonde in die vlees te veroordeel, **4** sodat die regverdige vereiste van die Wet vervul sou word in ons^c wat nie volgens die vlees lewe nie, maar volgens die gees.^d **5** Want dié wat volgens die vlees lewe, bly dink aan die dinge van die vlees,^e maar dié wat volgens die gees lewe, bly dink aan die dinge van die gees.^f **6** Want om te bly dink aan die dinge van die vlees, beteken die dood,^g maar om te bly dink aan die dinge van die gees, beteken lewe en vrede,^h **7** want om te bly dink aan die dinge van die vlees, beteken vyandskap met God,ⁱ want dit is nie onder die wet van God nie, en in werklikheid kan dit ook nie wees nie. **8** Daarom kan dié wat volgens die vlees lewe, nie God se hart bly maak nie.

9 Maar as God se gees werklik in julle is, lewe julle nie volgens die vlees nie, maar volgens die gees.^j Maar as iemand nie Christus se gees het nie, behoort hierdie persoon nie aan hom nie. **10** Maar as Christus in eenheid met julle is,^k is die liggaam dood as gevolg van sonde, maar die gees is lewe as gevolg van regverdigheid. **11** As die gees van hom wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle is, sal die een wat Christus Jesus uit die dood opgewek het,^l ook julle sterflike liggame lewend maak^m deur sy gees wat in julle is.

12 Daarom, broers, is ons verplig om nie volgens die vlees te lewe nie,ⁿ **13** want as julle volgens die vlees lewe, sal julle sekerlik sterf, maar as julle die slegte gebruike van die liggaam doodmaak^o met die hulp van die gees, sal julle lewe.^p **14** Want almal wat deur God se gees gelei word, is God se kinders.^q **15** Want julle het nie

HFST. 8

- a Joh 1:14
- b 1Jo 4:9
- c Ro 3:31
- d Ga 5:16, 18
- e Ga 5:19-21
- f Ga 5:22, 23
- g Ro 6:21
- h Ga 6:7, 8
- i Jes 59:2
Kol 1:21
- j Ga 5:25
- k Joh 15:4
- l Han 2:24
- m Ef 2:1, 5
- n Ga 5:19-21
- o 1Kor 9:27
Ga 5:24
Ef 4:22
Kol 3:5
- p Ga 6:7, 8
- q Joh 1:12
Joh 3:5

Tweede kol.

- a Ga 4:4-6
- b 1Kor 2:10, 12
2Kor 1:22
- c Joh 1:12
Ga 3:26
1Jo 3:2
- d Lu 12:32
Ga 3:29
- e Flp 1:29
Kol 1:24
- f 1Kor 15:53
Op 3:21
- g 2Kor 4:17
1Pe 4:13
- h 1Jo 3:2
- i Ge 3:17-19
- j Joh 8:31, 32
1Kor 15:22
- k 2Kor 5:1, 2
- l Ga 4:4, 5
Ef 1:5
Op 21:7
- m 1Pe 1:3, 4
- n 2Kor 5:7
- o Ro 5:3-5

'n gees ontvang wat julle sla-we maak en weer vrees veroorsaak nie, maar deur God se gees is julle as kinders aangeneem, en deur hierdie gees roep ons uit: "Abba,* Vader!"^a **16** Die gees getuig met ons gees^b dat ons God se kinders is.^c **17** As ons dan kinders is, is ons ook erfgename – ja, erfgename van God, maar mede-erfgename^d met Christus – maar net as ons saam ly,^e sodat ons ook saam verheerlik kan word.^f

18 Ons ly nou baie, maar ek is seker dat dit niks is in vergelyking met die heerlikheid wat in ons geopenbaar sal word nie.^g **19** Die skepping* wag gretig dat die seuns van God geopenbaar moet word.^h **20** Want die skepping is onderwerp aan 'n nuttelose bestaan,ⁱ nie uit eie wil nie, maar deur die een wat dit onderwerp het. Hy het dit gedoen op grond van die hoop **21** dat die skepping ook vrygemaak sal word van slawerny aan agteruitgang^j en die glorieryke vryheid van die kinders van God sal hê. **22** Want ons weet dat die hele skepping tot nou toe saam kreun en in pyn is. **23** Nie net dit nie, maar ons wat ook die eerste deel van die beloning* het, naamlik die gees, ja, ons kreun in onself^k terwyl ons gretig wag om as kinders aangeneem te word,^l om deur middel van 'n losprys van ons liggaam bevry te word. **24** Want ons is in hierdie hoop gered, maar hoop wat gesien word, is nie hoop nie, want as iemand iets sien, hoop hy dan daarop? **25** Maar as ons hoop^m op wat ons nie sien nie,ⁿ wag ons gretig daarop terwyl ons volhard.^o

8:15 *'n Hebreuse of Aramese woord wat "o Vader!" beteken. **8:19** *Verwys veral na mense. **8:23** *Of "die eerste-linge". Sien Woordelys.

26 Net so help die gees ons wanneer ons swak is,^a want soms weet ons nie waarvoor ons behoort te bid nie, maar die gees pleit vir ons wanneer ons in ons harte kreun. **27** Hy wat die harte deursoek,^b weet egter wat die gees bedoel, want dit pleit vir die heiliges, volgens God se wil.

28 Ons weet dat God al sy werke laat saamwerk om dié te bevoordeel wat lief is vir God en wat volgens sy voorneme geroep is,^c **29** want hy het van die begin af geweet wie hy sou kies en het ook besluit dat hulle soos sy Seun sou wees,^d die een wat die eersgeborene^e onder baie broers^f sou wees. **30** Dié wat hy vooraf gekies het^g om soos sy Seun te wees, is ook dié wat hy geroep het^h en wat hy regverdig verklaar het.ⁱ Laastens is dié wat hy regverdig verklaar het, dié wat hy ook verheerlik het.^j

31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie sal teen ons wees?^k **32** Hy het nie eers sy eie Seun gespaar nie, maar hy het hom vir ons almal oorgelewer.^l Sal hy dan nie ook alle ander dinge saam met hom uit die goedheid van sy hart vir ons gee nie? **33** Wie sal 'n beskuldiging maak teen dié wat deur God uitgekies is?^m God is die Een wat hulle regverdig verklaar.ⁿ **34** Wie is dit wat hulle sal veroordeel? Christus Jesus is die een wat gesterf het, ja, meer as dit, die een wat uit die dood opgewek is, wat aan die regterhand van God is^o en wat ook vir ons pleit.^p

35 Wat sal ons van die liefdevan die Christus skei?^q Moeilike tye of swaarkry of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of die swaard?^r **36** Net soos daar geskryf is: "Omdat ons u

HFST. 8

- a Joh 14:16, 26
- Joh 16:7
- b Jer 11:20
- c Ef 1:9-11
- 2Ti 1:9
- d Joh 13:15
- Ro 6:5
- 1Kor 15:49
- e Heb 1:6
- f Heb 2:11
- g Ef 1:5
- h Flp 3:14
- 1Te 2:12
- Heb 3:1
- i Ro 5:18
- Tit 3:7
- j 2Kor 4:6
- k Ps 118:6
- 1Jo 4:4
- l Joh 3:16
- Ro 3:25
- 1Jo 4:9
- m Jes 50:8
- n Han 13:38, 39
- Heb 10:16, 17
- o Ps 110:1
- p Heb 7:25
- 1Jo 2:1
- q Joh 15:10
- r 2Kor 4:8, 9

Tweede kol.

- a Ps 44:22
- b Joh 16:33
- c Ef 6:12

HFST. 9

- d Eks 4:22
- e Han 3:25
- Han 7:8
- f Eks 24:12
- g Han 26:7
- Heb 9:1
- h Ro 4:13
- i De 10:15
- j Mt 1:17
- k Ro 2:28
- Op 2:9
- l Joh 8:39
- Ga 3:29
- m Ge 21:12
- Heb 11:18
- n Joh 1:12, 13
- o Ga 4:28

volk is, word ons die hele dag lank doodgemaak. Ons word beskou as skape wat geslag moet word."^a **37** Maar in al hierdie dinge het ons heeltemal oorwin^b deur hom wat ons liefgehad het. **38** Want ek is daarvan oortuig dat nie die dood of die lewe of engele of regerings of dinge wat nou gebeur of dinge wat nog gaan gebeur of magte^c **39** of hoogte of diepte of enige ander skepping ons sal kan skei van God se liefde wat in Christus Jesus, ons Here, is nie.

9 Ek vertel die waarheid in Christus. Ek lieg nie, want my gewete getuig saam met my in heilige gees **2** dat daar baie hartseer en onophoudelike pyn in my hart is. **3** Want ek is bereid om as 'n vervloekte geskei te word van die Christus ter wille van my broers, my familieleden,^{*} **4** wat Israeliete is. Hulle is as kinders aangeneem^d en het die heerlikheid, die verbonde,^e die Wet,^f die heilige diens^g en die beloftes^h ontvang. **5** Hulle het afgestam van ons voorvaders,ⁱ uit wie die Christus gebore is.^j Mag God, wat oor alles is, vir ewig geloof word. Amen.

6 Maar dit is nie asof die woord van God nie vervul is nie. Want nie almal wat uit Israel gebore is, is werklik "Israel" nie.^k **7** En hulle is ook nie almal kinders omdat hulle Abraham se nageslag^{*} is nie,^l maar: "Wat jou nageslag^{*} genoem sal word, sal deur Isak wees."^m **8** Dit wil sê, die kinders in die vlees is nie werklik die kinders van God nie,ⁿ maar die kinders deur die belofte^o word as die nageslag^{*} beskou. **9** Want die belofte het gesê: "Op dié tyd sal ek kom, en

9:3 *Lett. "my familieleden na die vlees". **9:5** *Of "na die vlees gebore is". **9:7, 8** *Lett. "saad".

Sara sal 'n seun hê.^a **10** Nie net toe nie, maar ook toe Rebekka swanger geword het met 'n tweeling by Isak, ons voorvader.^b **11** Toe hulle nog nie gebore was of enigiets goeds of slegs gedoen het nie – sodat God se voorneme in verband met wie hy sou kies, nie van werke sou afhang nie maar van die Een wat roep – **12** is daar vir haar gesê: “Die oudste sal die slaaf van die jongste wees.”^c **13** Net soos daar geskryf is: “Ek was lief vir Jakob, maar ek het Esau gehaat.”^d

14 Wat sal ons dan sê? Is daar onregverdigheid by God? Beslis nie!^e **15** Want hy sê vir Moses: “Ek sal genade betoon aan wie ek genade wil betoon, en ek sal medelye* betoon aan wie ek medelye* wil betoon.”^f **16** Dit hang dus nie af van wat 'n persoon doen of wat hy wil doen nie,* maar van God, wat genadig is.^g **17** Want die Skrifgedeelte sê vir Farao: “Om dié rede het ek jou toegelaat om te bly lewe: sodat ek my krag deur jou kan wys en sodat my naam oor die hele aarde bekend gemaak kan word.”^h **18** So toon hy dan genade aan wie hy wil, maar hy laat hardkoppig word wie hy wil.ⁱ

19 Maar jy sal vir my vra: “Hoekom vind hy dan nog fout? Want wie het sy wil weerstaan?” **20** Maar wie is jy, o mens, om God terug te antwoord?^j Sal wat gevorm is, vir die een wat dit gevorm het, vra: “Hoekom het jy my so gemaak?”^k **21** Wat? Het die pottbakker nie die gesag^l om uit dieselfde klei een voorwerp* vir 'n eervolle gebruik en 'n ander vir 'n oneervolle ge-

9:15 *Sien Woordelys. **9:16** *Lett. “van die een wat begeer of van die een wat hardloop nie”. **9:21** *Lett. “houer”.

HFST. 9

a Ge 18:10, 14

b Ge 25:21, 24

c Ge 25:23

d Mal 1:2, 3
Heb 12:16e De 32:4
Job 34:10

f Eks 33:19

g Tit 3:4, 5

h Eks 9:16

i Eks 10:1
Eks 14:4

j Job 40:2

k Jes 29:16
Jes 45:9l Jes 64:8
Jer 18:6

Tweede kol.

a 1Te 5:9

b Ro 11:13
Ef 3:6

c Ef 2:12

d Ho 2:23
Mt 21:43
1Pe 2:10e Ho 1:10
Ga 3:26f Ho 1:10
Ro 11:4, 5

g Jes 10:22, 23

h Jes 1:9

i Ro 4:11
Flp 3:9

j Ro 10:20

bruik te maak nie? **22** Wat dan as God sy woede wou toon en sy krag bekend wou maak, maar hy voorwerpe van woede, wat vernietig sou word, geduldig verdra het? **23** En as hy dit gedoen het om die oorfloed van sy heerlikheid bekend te maak oor voorwerpe van genade,^a wat hy vooraf voorberei het om verheerlik te word, **24** naamlik ons, wat hy nie net uit die Jode geroep het nie maar ook uit die nasies,^b wat daarvan? **25** Dit is soos hy ook in Hose'a sê: “Dié wat nie my volk is nie,^c sal ek ‘my volk’ noem, en die vrou vir wie ek nie lief was nie, sal ek ‘my geliefde’ noem^d **26** en op die plek waar daar vir hulle gesê is: ‘Julle is nie my volk nie,’ daar sal hulle ‘kinders van die lewende God’^e genoem word.”

27 En Jesaja sê oor Israel: “Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, sal net die oorblyfsel gered word.^f **28** Want Jehovah* sal dié wat op die aarde woon, oordeel en hy sal dit vinnig uitvoer.”^g **29** En soos Jesaja ook voorspel het: “As Jehovah* van die leëmagte nie vir ons 'n nageslag^h laat oorbly het nie, sou ons net soos Sodom geword het en sou ons soos Gomor'ra ge-wees het.”^h

30 Wat sal ons dan sê? Al het mense van die nasies nie probeer om regverdig te wees nie, het hulle weens geloofⁱ regverdig geword in God se oë,^j **31** maar al het Israel volgens 'n wet van regverdigheid probeer lewe, het hulle dit nie reggekry nie. **32** Hoekom? Omdat hulle dit nie deur geloof probeer doen het nie, maar deur werke. Hulle het oor die

9:28, 29 *Sien Aanh. A5. **9:29** [#]Lett. “saad”.

“steen van struikeling” gestruikel,^a **33** soos daar geskryf is: “Kyk! Ek lê in Sion ‘n steen^b van struikeling en ‘n rots van aanstoot, maar die een wat sy geloof daarop bou, sal nie teleurgestel word nie.”^c

10 Broers, ek wens met my hele hart en ek smeeek God dat hulle gered word.^d **2** Want ek getuig van hulle dat hulle ‘n ywer vir God het,^e maar nie akkurate kennis nie. **3** Omdat hulle nie die regverdigheid van God ken nie^f maar in hulle eie oë regverdig probeer wees,^g het hulle nie God se regverdige standaarde gehoorsaam nie.^h **4** Want Christus is die einde van die Wet,ⁱ sodat elkeen wat geloof beoefen, regverdig kan wees.^j

5 Moses het die volgende geskryf oor die regverdigheid wat deur middel van die Wet verkry word: “Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.”^k

6 Maar die volgende word gesê oor die regverdigheid wat as gevolg van geloof verkry word: “Moenie in jou hart sê: ‘Wie sal na die hemel opvaar?’^m dit wil sê om Christus af te bring, **7** of: ‘Wie sal in die afgrond neerdaal?’ⁿ dit wil sê om Christus uit die dood terug te bring nie.”

8 Maar wat sê dit? “Die woord is naby jou, in jou eie mond en in jou eie hart”^o – dit wil sê “die woord” van geloof, wat ons verkondig. **9** As jy met jou mond in die openbaar bekend maak dat Jesus Here is^p en in jou hart geloof beoefen dat God hom opgewek het, sal jy gered word. **10** Want vir regverdigheid moet iemand in sy hart geloof beoefen, maar vir redding moet hy sy geloof met sy mond in die openbaar bekend maak.^q

11 Want die Skrif sê: “Niemand wat geloof in hom het,

HFST. 9

- a Jes 8:14
- Lu 20:17, 18
- 1Kor 1:23
- b Ps 118:22
- Mt 21:42
- c Jes 28:16
- Ro 10:11
- 1Pe 2:6

HFST. 10

- d Ro 9:3, 4
- e Han 21:20
- Ga 1:14
- f Ro 1:16, 17
- g Lu 16:15
- Flp 3:9
- h Lu 7:29, 30
- i Mt 5:17
- Ro 7:6
- Ef 2:15
- Kol 2:13, 14
- j Ga 3:24
- k Le 18:5
- Ga 3:12
- l De 9:4
- m De 30:12
- n De 30:13
- o De 30:14
- p Han 16:31
- q 1Kor 9:16
- 2Kor 4:13
- Heb 13:15

Tweede kol.

- a Jes 28:16
- Ro 9:33
- b Han 15:7-9
- Ga 3:28
- c Jl 2:32
- Han 2:21
- d Mt 28:19, 20
- e Jes 52:7
- Ef 6:14, 15
- f Jes 53:1
- Joh 12:37, 38
- g Joh 4:42
- h Ps 19:4
- Han 1:8
- i Mt 10:5, 6
- Han 2:14
- j De 32:21
- k Ro 9:30
- l Jes 65:1
- m Jes 65:2

sal teleurgestel word nie.”^a

12 Want daar is geen verskil tussen Jood en Griek nie.^b Hulle almal het dieselfde Here, wat ryklik* gee aan almal wat hom aanroep. **13** Want “elkeen wat die naam van Jehovah* aanroep, sal gered word”.^c **14** Maar hoe kan hulle hom aanroep as hulle nie geloof in hom gestel het nie? En hoe kan hulle geloof in hom stel as hulle nie van hom gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor as iemand nie preek nie? **15** En hoe kan hulle preek as hulle nie uitgestuur is nie?^d Net soos daar geskryf is: “Hoe lieflik is die voete van dié wat goeie nuus van goeie dinge bekend maak!”^e

16 En tog was hulle almal nie gehoorsaam aan die goeie nuus nie. Want Jesaja sê: “Jehovah,* wie het geloof gestel in wat ons gesê het?”^f **17** Geloof volg dus op wat gehoor word.^g En wat gehoor word, is deur die woord oor Christus. **18** Maar ek vra: Het hulle miskien nie gehoor nie? Nee, hulle het gehoor, want ‘hulle geluid het oor die hele aarde uitgegaan en hulle boodskap tot aan die indes van die aarde’.^h **19** En ek vra ook: Het Israel miskien nie geweet nie?ⁱ Eerstens sê Moses: “Ek sal julle jaloers maak met mense van ander nasies. Ek sal julle woedend maak deur middel van ‘n dwase nasie.”^j **20** Maar Jesaja gaan selfs so ver as om te sê: “Ek is gevind deur dié wat my nie gesoek het nie.^k Ek het bekend geword aan dié wat nie gevra het waar ek is nie.”^l **21** Maar oor Israel sê hy: “Die hele dag deur het ek my hande uitgestrek na ‘n ongehoorsame en hardkoppige volk.”^m

10:12 *Of “vryelik”. 10:13, 16 *Sien Anh. A5. 10:16 *Lett. “in wat by ons gehoor is”.

11 Ek vra dan: Het God sy volk verwerp?^a Glad nie! Want ek is ook 'n Israeliet, van die nageslag* van Abraham, uit die stam van Benjamin. **2** God het sy volk, wat hy eerste gekies het, nie verwerp nie.^b Weet julle nie wat die Skrif oor Eli'a sê nie? Hy het by God oor Israel gekla en gesê: **3** "Jehovah,* hulle het u profete doodgemaak, hulle het u altare uitgegrawe, en ek het alleen oorgebly, en nou probeer hulle my# doodmaak."^c **4** Maar hoe het God hom geantwoord? "Ek het 7000 manne vir myself laat oorbly, manne wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie."^d **5** So is daar ook in hierdie tyd 'n oorblyfsel^e wat as gevolg van onverdiende goedheid uitgekies is. **6** As dit dan nou deur onverdiende goedheid is,^f is dit nie meer deur werke nie,^g want anders is die onverdiende goedheid nie meer onverdiende goedheid nie.

7 Wat sal ons dan sê? Israel het nie verkry waarna hulle ernstig gesoek het nie, maar dié wat uitgekies is, het dit wel verkry.^h Die res het geweier om te luister,ⁱ **8** net soos daar geskryf is: "God het hulle 'n gees van diep slaap gegee,^j oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie, tot vandag toe."^k **9** Dawid sê ook: "Laat hulle tafel vir hulle 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n straf word. **10** Laat hulle oë blind word sodat hulle nie kan sien nie, en laat hulle rug vir altyd krom wees."^l

11 Daarom vra ek: Het hulle gestruikel en heeltemal geval? Beslis nie! Maar deur hulle misstap is daar redding vir mense van die nasies, om hulle jaloers te maak.^m **12** As hulle misstap

11:1 *Lett. "saad". 11:3 *Sien Aanh. A5. #Of "my siel".

HFST. 11

a 1Sa 12:22
Jer 31:37

b Eks 19:5
Ps 94:14

c 1Kn 19:2, 14

d 1Kn 19:18

e Ro 9:27

f Ef 1:7
Ef 2:8

g Ga 2:15, 16

h Joh 1:11, 12

i 2Kor 3:14, 15

j Jes 29:10

k De 29:4

l Ps 69:22, 23

m De 32:21
Ro 10:19

Tweede kol.

a Ro 9:23, 24

b Han 9:15
Ga 1:15, 16
Ef 3:8

c Han 28:30, 31
Kol 1:23
2Ti 4:5

d Mt 21:43

e 1Kor 10:12

f Han 15:14

g Mt 21:43

h Ef 2:8

i Ro 2:4

j Mt 23:38

dan nou rykdom vir die wêreld beteken en hulle vermindering rykdom vir mense van die nasies,^a sal hulle volle getal soveel meer beteken!

13 Ek praat dan nou met julle wat mense van die nasies is. Aangesien ek 'n apostel vir die nasies is,^b heg ek groot waarde aan* my bediening^c **14** om te sien of ek op die een of ander manier my eie mense* jaloers kan maak en party onder hulle kan red. **15** Want as hulle verwerping^d beteken dat die wêreld met God versoen word, wat sal dit beteken as hulle aangeneem word? Dit sal wees asof hulle uit die dood terugkeer na die lewe. **16** En as die eerste deel van die deeg wat as eersteling geoffer word, heilig is, is al die deeg ook heilig, en as die wortel heilig is, is die takke ook.

17 Maar as party van die takke afgebreek is en jy, al is jy 'n wilde olyfboom, tussen hulle geënt is en baat gevind het by die voedingskrag van die olyfboom se wortel, **18** moet jy nie neersien op die takke nie. As jy wel op hulle neersien,^e moet jy onthou dat jy nie die wortel dra nie, maar dat die wortel jou dra. **19** Jy sal dan sê: "Takke is afgebreek sodat ek geënt kan word."^f **20** Dit is waar! Weens hulle gebrek aan geloof is hulle afgebreek,^g maar jy staan deur jou geloof.^h Maar pasop, moenie hoogmoedig wees nie. **21** Want as God nie die natuurlike takke gespaar het nie, sal hy jou ook nie spaar nie. **22** Dink dan aan God se goedhartigheidⁱ en strengheid. Daar is strengheid teenoor dié wat geval het,^j maar God is goed vir jou, solank jy in sy goedhartigheid bly, anders sal jy ook

11:13 *Of "verheerlik ek". 11:14 *Lett. "my vlees".

afgekap word. **23** En hulle sal ook geënt word^a as hulle geloof begin toon, want God kan hulle weer ent. **24** Want as jy uit die wilde olyfboom gesny is en op die gekweekte olyfboom geënt word, al word dit nie gewoonlik so gedoen nie, dan sal dié wat natuurlike takke is, sekerlik op hulle eie olyfboom geënt word!

25 Broers, ek wil hê dat julle moet weet van hierdie heilige geheim,^b sodat julle nie in julle eie oë wys word nie: Party Israëliete se harte is verhard, en dit sal so bly totdat die volle getal mense van die nasies ingekom het, **26** en op hierdie manier sal die hele Israel^c gered word. Net soos daar geskryf is: "Die verlosser* sal uit Sion kom^d en die goddelose gebruike van Jakob wegneem. **27** En dit is my verbond met hulle,^e wanneer ek hulle sondes wegneem."^f

28 Wat die goeie nuus betref, is hulle nou wel vyande ter wille van julle, maar God is lief vir hulle en het hulle uitgekies as gevolg van die belofte aan hulle voorvaders.^g **29** Want die gawes en die roeping van God is nie dinge waaroor hy spyt sal voel nie. **30** Want net soos julle voorheen aan God ongehoorsaam was,^h is daar nou genade aan julle betoonⁱ weens hulle ongehoorsaamheid.^j **31** Net so het hy genade aan julle betoon weens hulle ongehoorsaamheid, maar as gevolg daarvan kan hy nou ook genade aan hulle betoon. **32** Want God het toegelaat dat hulle almal gevangenes van ongehoorsaamheid word^k sodat hy genade aan hulle almal kan betoon.^l

33 Hoe diep is God se rykdom en wysheid en kennis tog! Niemand kan sy besluite* ten

11:26 *Of "redder". 11:33 *Of "oordele".

- HFST. 11
- a Han 2:38
- b Ef 3:5, 6
- c Ro 2:29
Ro 9:6
Ga 3:29
- d Ps 14:7
- e Jes 59:20, 21
- f Jes 27:9
- g De 10:15
- h Ef 2:1, 2
- i Han 15:7-9
- j Han 7:51
- k Ro 3:9
- l 1Ti 2:3, 4

Tweede kol.

- a Jes 40:13
Da 4:35
- b Job 41:11

HFST. 12

- c Ro 6:13
- d 2Kor 7:1
1Pe 1:15
- e 2Ti 1:7
- f Ef 4:23, 24
- g 1Ti 4:15
- h Spr 16:18
Ga 6:3
1Pe 5:5
- i Ef 2:8
- j 1Kor 12:12
- k 1Kor 12:25
- l Ef 3:7

volle verstaan of sy dae ten volle begryp nie! **34** Want "wie het Jehovah* se denke leer ken, of wie het sy raadgewer ge-word?"^a **35** Of "wie het eerste vir hom iets gegee, sodat hy daarvoor terugbetaal moet word?"^b **36** Want alles is uit hom en deur hom en vir hom. Aan hom behoort die eer tot in ewigheid. Amen.

12 Broers, aangesien God genadig teenoor ons is, smee ek julle om julle liggame aan te bied^c as 'n offerande wat lewend, heilig^d en vir God aanvaarbaar is. So doen julle heilige diens met julle denkvermoë.^e **2** En moenie langer toelaat dat hierdie wêreld* julle vorm nie, maar verander julle denkwys^f sodat julle aan julleself kan bewys^g wat die goeie en aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

3 Want deur die onverdiende goedheid wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle om nie meer van homself te dink as wat nodig is nie,^h maar om op 'n manier te dink wat toon dat hy verstandig is,* elkeen volgens die geloof wat God hom gegee het.ⁱ **4** Ons liggaam bestaan uit baie ledemate,^j maar die ledemate het nie almal dieselfde funksie nie. **5** Net so is ons, al is ons baie, een liggaam in eenheid met Christus, maar afsonderlik is ons ledemate wat aan mekaar behoort.^k **6** Ons het verskillende vermoëns* volgens die onverdiende goedheid wat aan ons gegee is.^l As ons kan profeteer, laat ons profeteer volgens die geloof wat aan ons gegee is. **7** As ons ander kan dien, laat ons dien. As iemand

11:34 *Sien Aanh. A5. 12:2 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys. 12:3 *Of "'n gesonde verstand het". 12:6 *Of "gawes".

die vermoë het om ander te leer, laat hy aanhou onderrig.^a **8** As iemand ander kan aanmoedig,* laat hy hulle aanmoedig.*^b As iemand kan gee,[#] laat hy dit vryelik doen.^c As iemand die leiding neem, laat hy dit ywerig^d doen.^d As iemand genade kan betoon, laat hy dit vreugdevol doen.^e

9 Laat julle liefde sonder skynheiligheid wees.^f Haat wat goddeloos is,^g hou vas aan wat goed is. **10** Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar. Neem die leiding* om eer aan mekaar te betoon.^h **11** Wees hardwerkend,* nie lui nie.ⁱ Gloei van die gees.^j Dien Jehovah[#] as slawe.^k **12** Wees bly oor die hoop wat julle het. Volhard wanneer julle moeilike tye deurmaak.^l Hou vol met gebed.^m **13** Deel met die heiliges volgens wat hulle nodig het.ⁿ Wees altyd gasvry.^o **14** Hou aan om dié te seën wat julle vervolgt.^p Seën en moenie vervloek nie.^q **15** Wees bly saam met mense wat bly is. Huil saam met mense wat huil. **16** Beskou ander soos julle juleself beskou. Moenie hoogmoedig wees* nie, maar laat julle deur nederigheid lei.^r Moenie in julle eie oë wys word nie.^s

17 Moenie slegte dinge aan mense doen wanneer hulle slegte dinge aan julle doen nie.^t Doen dinge wat alle mense as goed sal beskou. **18** Doen julle bes, sover dit van julle afhang, om in vrede met alle mense te lewe.^u **19** Moenie self wraak neem nie, geliefde vriende, maar laat die woede aan God oor,^v want daar staan geskryf: "Die wraak is myne. Ek

12:8 *Of "vermaan". #Of "bydra".
 ^Of "in alle erns". 12:10 *Of "inisiatiewe". 12:11 *Of "ywerig". 12:11, 19
 #Sien Aanh. A5. 12:16 *Of "hoë dinge bedink".

HFST. 12

- a 1Ti 5:17
 1Pe 4:10, 11
 b 2Ti 4:2
 c De 15:11
 2Kor 8:2
 d 1Te 5:12
 1Pe 5:2
 e Ef 4:32
 f 1Ti 1:5
 Jak 3:17
 1Pe 1:22
 g Ps 97:10
 Spr 8:13
 h Flp 2:3
 i Spr 13:4
 j Han 18:24, 25
 k Ro 6:32
 l Han 14:22
 m Flp 4:6
 1Te 5:17
 n Spr 3:27
 1Jo 3:17
 o 1Pe 4:9
 3Jo 8
 p Mt 5:44
 Lu 6:27, 28
 q Jak 3:9, 10
 r Lu 14:10
 Lu 22:24-26
 Joh 13:14
 Flp 2:3
 s Job 37:24
 Spr 3:7
 t 1Te 5:15
 1Pe 2:23
 1Pe 3:9
 u 2Ti 2:24
 Heb 12:14
 Jak 3:18
 v Le 19:18
 Mt 5:39

Tweede kol.

- a De 32:35
 Heb 10:30
 b Spr 25:21, 22
 c Eks 23:4
 Mt 5:44
 Lu 6:27

HFST. 13

- d Tit 3:1
 1Pe 2:13, 14
 e Joh 19:10, 11
 f Han 17:26
 g 1Pe 2:13, 14
 h 1Pe 3:13
 i 1Pe 2:19
 1Pe 3:16
 j Mt 22:21
 Mr 12:17
 Lu 20:25

sal terugbetaal,' sê Jehovah."^{#a}

20 Maar "as jou vyand honger is, gee hom iets om te eet, en as hy dors is, gee hom iets om te drink, want as jy dit doen, sal dit wees asof jy gloeiende kole op sy kop sit".^{*b} **21** Moenie toelaat dat die slegte jou oorwin nie, maar hou aan om die slegte met die goeie te oorwin.^c

13 Laat elkeen* onderdanig wees aan die hoër owerhede,^d want daar is geen gesag wat nie van God af kom nie.^e Die bestaande owerhede is deur God in hulle relatiewe posisies geplaas.^f **2** Die een wat die owerhede teëstaan, staan dus God se reëling teë, en dié wat dit doen, sal oordeel oor hulle self bring. **3** Want jy hoef nie bang te wees vir daardie heersers as jy goeie dinge doen nie, maar wel as jy slegte dinge doen.^g As jy nie vir die owerhede wil bang wees nie, moet jy aanhou om goeie dinge te doen,^h en jy sal deur hulle geprys word daarvoor, **4** want die owerhede is God se dienaars tot jou voordeel. Maar as jy doen wat sleg is, moet jy bang wees, want die owerhede dra nie verniet die swaard nie. Hulle is God se dienaars wat die oortreders straf.

5 Julle het dus goeie rede om onderdanig te wees, nie net weens die straf nie, maar ook weens julle gewete.ⁱ **6** Daarom betaal julle ook belasting, want hulle is God se openbare dienaars wat hulle taak voortdurend uitvoer. **7** Gee aan almal wat hulle toekom: Betaal belasting aan die een wat belasting vra.^j Betaal skatting* aan die een wat skatting* vra. Betoon respek aan die een wat

12:20 *D.w.s. om iemand se hart sag te maak en sy hardheid te laat wegsmeel.
 13:1 *Of "elke siel". 13:7 *Sien Woordelys.

gerespekteer wil word.^a Gee eer aan die een wat geëer wil word.^b

8 Moet niemand enigiets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê,^c want die persoon wat sy medemens liefhet, het die wet vervul.^d **9** Want die gebooië: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie,^e jy mag nie moord pleeg nie,^f jy mag nie steel nie,^g jy mag nie begeer wat aan ander behoort nie",^h en watter ander gebod daar ook al is, word in hierdie woorde opgesom: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."ⁱ **10** Iemand wat liefhet, doen niks slegs aan sy naaste nie,^j en daarom vervul liefde die wet.^k

11 En doen dit omdat julle weet in watter tyd ons lewe. Dit is nou die uur vir julle om wakker te word,^l want ons redding is nou nader as toe ons gelowiges geword het. **12** Die nag is amper verby, en die dag is naby. Laat ons dus ontslae raak van die werke wat aan die duisternis behoort,^m en laat ons die wapens van die lig gebruik.ⁿ **13** Laat ons ons ordentlik gedra,^o soos mense hulle in die dag gedra. Laat ons 'n lewe lei sonder wilde partytjies, dronkenskap, onsedelikheid, skaamtelose gedrag,^p stryery en jaloesie.^q **14** Volg die Here Jesus Christus na,^r en moenie vooruitbeplan om die begeertes van die vlees te bevredig nie.^s

14 Verwelkom die persoon wat swakhede in sy geloof het,^t maar moenie iemand oordeel as hy 'n ander opinie* het nie. **2** Een persoon het geloof om alles te eet, maar die per-

13:13 *Of "dade van skaamtelose gedrag". Meervoud van die Griekse woord *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys. **13:14** *Lett. "Beklee julle met die Here Jesus Christus". **14:1** *Of moontlik "innerlike twyfelvrae".

HFST. 13

- a Spr 24:21
- b 1Pe 2:13, 17
- c Kol 3:14
- 1Ti 1:5
- 1Jo 4:11
- d Ga 5:14
- Jak 2:8
- e Eks 20:14
- Mt 5:27, 28
- 1Kor 6:9, 10
- f Ge 9:6
- De 5:17
- g Eks 20:15
- h Eks 20:17
- i Le 19:18
- Mt 22:39
- j Lu 6:31
- 2Ti 2:24
- k Mt 22:37-40
- l Lu 21:36
- 1Te 5:6
- m Ef 5:10, 11
- n 2Kor 6:4, 7
- Ef 6:11
- 1Te 5:8
- o 1Pe 2:12
- p Ef 4:19
- 1Pe 4:3
- q 2Kor 12:20
- r 1Kor 11:1
- Ga 3:27
- Ef 4:24
- s Ga 5:16

HFST. 14

- t Ro 15:1
- 1Te 5:14

Tweede kol.

- a Kol 2:16
- b Mt 7:1
- Jak 4:12
- c 1Kor 4:4
- d Ga 4:10
- e Kol 2:16
- f 1Ti 4:4
- g 1Kor 10:31
- h 1Kor 6:19, 20
- i Ps 146:2
- 1Pe 4:1, 2
- j 1Te 4:14
- k 1Te 5:10
- Op 1:17, 18
- l Lu 6:37
- Ro 14:4
- m Han 10:42
- 2Kor 5:10
- n Jes 49:18
- o Jes 45:23
- p Pr 12:14
- Mt 12:36
- 2Kor 5:10
- q Mt 7:1

soon wat swak is, eet net groente. **3** Die een wat eet, moenie neersien op die een wat nie eet nie, en die een wat nie eet nie, moenie die een wat eet, oordeel nie,^a want God het hom verwelkom. **4** Wie is jy om iemand anders se kneg te oordeel?^b Sy eie meester sal oordeel of hy staan of val.^c Maar hy sal beslis staan, want Jehovah* kan hom laat staan.

5 Vir een persoon is die een dag belangriker as die ander,^d terwyl alle dae weer vir iemand anders dieselfde is.^e Laat elkeen heeltemal oortuig wees in sy eie verstand. **6** Die een wat 'n spesifieke dag as belangrik beskou, doen dit vir Jehovah.* En die een wat eet, doen dit vir Jehovah,* want hy dank God,^f en selfs die een wat nie eet nie, doen dit vir Jehovah,* en tog dank hy God ook.^g **7** Om die waarheid te sê, nie een van ons lewe net vir homself nie,^h en niemand sterf net vir homself nie.

8 Want as ons lewe, lewe ons vir Jehovah,*ⁱ en as ons sterf, sterf ons vir Jehovah.*^j Of ons dan nou lewe of sterf, ons behoort aan Jehovah.*^j **9** Want Christus het gesterf en weer lewend geword om Here oor die dooies sowel as die lewendes te wees.^k

10 Maar hoekom oordeel jy jou broer? Of hoekom sien jy neer op jou broer? Want ons almal sal voor die regterstoel van God staan.^m **11** Want daar is geskryf: "So waar as wat ek lewe,ⁿ sê Jehovah,* 'elke knie sal voor my buig, en elke tong sal God openlik erken."^o **12** God sal dus elkeen van ons volgens ons dade oordeel.^p

13 Laat ons mekaar dus nie langer oordeel nie,^q maar laat ons eerder vasbeslote wees om

14:4, 6, 8, 11 *Sien Aanb. A5.

nie iets in 'n broer se pad te sit wat hom kan laat struikel of laat val nie.^a **14** Ek weet en is daarvan oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie.^b Net as iemand iets as onrein beskou, is dit vir hom onrein. **15** Want as jy jou broer aanstoot gee deur wat jy eet, laat jy jou nie meer deur liefde lei nie.^c Moenie jou broer se geloof vernietig deur wat jy eet nie, want Christus het vir hom gesterf.^d **16** Moet dus nie dat daar sleg gepraat word van die goeie dinge wat julle doen nie. **17** Want die Koninkryk van God gaan nie oor eet en drink nie,^e maar oor regverdigheid en vrede en vreugde met heilige gees. **18** Die een wat Christus op hierdie manier as 'n slaaf dien, het die goedkeuring van God en van mense.

19 Laat ons dan alles moontlik doen om vrede te bevorder^f en mekaar op te bou.^g **20** Hou op om die werk van God net ter wille van kos af te breek.^h Alles is nou wel rein, maar dit is skadelik* vir iemand om iets te eet wat iemand anders kan laat struikel.ⁱ **21** Dit is beter om nie vleis te eet of wyn te drink of enigiets te doen wat jou broer laat struikel nie.^j **22** Laat die geloof wat jy het, iets wees wat tussen jou en God is. Gelukkig is die mens wat homself nie veroordeel deur wat hy goedkeur nie. **23** Maar as hy twyfel, is hy reeds veroordeel as hy eet, omdat hy nie uit geloof eet nie. Ja, alles wat nie uit geloof is nie, is sonde.

15 Maar ons wat sterk is, behoort die swakhede te dra van dié wat nie sterk is nie,^k en ons moenie net aan onself dink nie.^l **2** Laat elkeen van ons doen wat ons kan om ons

14:20 *Of "verkeernd".

HFST. 14

- a Mt 18:6
1Kor 8:9
1Kor 10:32
b Mt 15:11
Han 10:15
1Ti 4:4
c Ef 5:2
d 1Kor 8:10, 11
e 1Kor 8:8
f Mt 5:9
Ro 12:18
g 1Kor 14:12
Heb 10:24
h Ro 14:3
1Kor 8:11
i 1Kor 8:9
j Ro 14:13
1Kor 8:13
1Kor 10:24

HFST. 15

- k Ro 14:1
1Te 5:14
l 1Kor 10:24

Tweede kol.

- a 1Kor 9:22
Flp 2:4
b Mr 10:45
Joh 5:30
c Ps 69:9
d 1Kor 10:11
2Ti 3:16, 17
2Pe 1:19
e Ro 5:3, 4
f Ps 119:49, 50
Heb 3:6
1Pe 1:10
g 1Kor 1:10
2Kor 13:11
Flp 2:2
1Pe 3:8
h Flm 10, 17
i Joh 6:37
j Mt 15:24
Joh 1:11
k Ge 22:16-18
Ps 89:3
l Ro 9:23, 24
m 2Sa 22:50
Ps 18:49
n De 32:43
o Ps 117:1
p Op 5:5
q Ge 49:10
r Jes 11:1, 10
Mt 12:21
s Jes 40:31

naaste te bevoordeel sodat ons hom kan opbou.^a **3** Want selfs die Christus het nie sy eie voordeel gesoek nie,^b soos daar geskryf is: "Die beledigings van dié wat u beledig, het op my neergekom."^c **4** Want alles wat vroeër geskryf is, is geskryf sodat ons daaruit kan leer,^d sodat ons deur ons volharding^e en deur die vertroosting uit die Skrif hoop kan hê.^f **5** Mag die God wat volharding en vertroosting gee, sorg dat julle almal dieselfde denkwysse en gesindheid het as wat Christus Jesus gehad het. **6** Dan sal julle die God en Vader van ons Here Jesus Christus in eenheid^g en met een stem* kan verheerlik.

7 Verwelkom* mekaar dus,^h net soos die Christus ons ook verwelkom het,ⁱ sodat God verheerlik kan word. **8** Want ek sê vir julle dat Christus 'n dienaar geword het van dié wat besny is^j om te bewys dat God betroubaar is en om die beloftes te bevestig wat Hy aan hulle voorvaders gemaak het.^k **9** Dit was ook sodat die nasies God vir sy genade sou verheerlik.^l Net soos daar geskryf is: "Daarom sal ek u openlik onder die nasies prys, en ek sal liedere sing om u naam te loof."^m **10** En hy sê ook: "Wees bly, o nasies, saam met sy volk."ⁿ **11** En ook: "Loof Jehovah,* alle nasies, en laat al die volke hom loof."^o **12** En Jesus sê ook: "Daar sal die wortel van Isai wees,^p die een wat kom om oor nasies te regeer.^q In hom sal nasies hulle hoop stel."^r **13** Mag die God wat hoop gee, julle met alle vreugde en vrede vul omdat julle op hom vertrou, sodat julle hoop oorvloedig kan wees met die krag van die heilige gees.^s

15:6 *Lett. "mond". 15:7 *Of "Aanvaar". 15:11 *Sien Aanh. A5.

14 Ek is oortuig, my broers, dat julle ook vol goedheid en kennis is en dat julle mekaar kan raad gee.* 15 Maar oor sommige punte het ek baie reguit aan julle geskryf om julle weer daaraan te herinner. Ek het dit gedoen omdat God onverdient goedheid aan my betoon het 16 sodat ek 'n openbare dienaar van Christus Jesus vir die nasies kan wees.^a Ek doen die heilige werk van die goeie nuus van God^b sodat hierdie nasies 'n aanvaarbare offer kan wees wat met heilige gees geheilig is.

17 Daarom het ek as 'n volgeling van Christus Jesus rede om bly te wees oor my diens aan God. 18 Want ek sal dit nie waag om oor enigiets te praat behalwe oor wat Christus deur my gedoen het sodat die nasies hom kan gehoorsaam nie. Hy het dit gedoen deur my woorde en my dade, 19 met die krag van tekens en wonderwerke^c en met die krag van God se gees. Dit was sodat ek die goeie nuus oor die Christus deeglik kon verkondig^d van Jerusalem af en in 'n kring tot by Illi'rikum. 20 Op hierdie manier het ek dit my doel gemaak om nie die goeie nuus bekend te maak waar die naam van Christus reeds bekend gemaak is nie, sodat ek nie op iemand anders se fondament bou nie. 21 Want daar is geskryf: "Dié aan wie niks oor hom verkondig is nie, sal sien, en dié wat nie gehoor het nie, sal verstaan."^e

22 Dit is ook hoekom ek dit nie reggekry het om na julle toe te kom nie, al wou ek dit baie keer doen. 23 Maar nou het ek oral in hierdie streke gepreek, en ek wil al baie jare lank* na

HFST. 15
a Ro 11:13
Ga 2:7, 8
b Han 20:24
c Han 15:12
2Kor 12:12
d Han 21:18, 19
e Jes 52:15

Tweede kol.

a Han 19:21
Han 20:22
b 1Kor 16:1
2Kor 8:1-4
2Kor 9:2, 12
c Ga 6:6
Heb 13:16
d 2Kor 1:11
Ef 6:18
Kol 4:3
1Te 5:25
e 2Te 3:1, 2
f Ro 15:26

g 1Kor 14:33
Flp 4:9

HFST. 16
h Han 18:18

julle toe kom. 24 Daarom hoop ek om julle te sien wanneer ek na Spanje reis. Ek sal graag julle geselskap 'n ruk lank wil geniet, en ek hoop dat julle daarna 'n ent saam met my sal gaan. 25 Maar nou staan ek op die punt om na Jerusalem te reis om die heiliges te gaan help.^a 26 Want dié in Masedonië en Aga'je was gretig om hul le goed te deel deur 'n bydrae aan die armes onder die heiliges in Jerusalem te gee.^b 27 Hulle het dit uit die hart gedoen, maar eintlik was hulle by die heiliges in die skuld. Want die heiliges het die dinge wat hulle van God ontvang het, met die nasies gedeel, en daarom is dit ook net reg dat die nasies hulle nou met hulle materiële dinge help.^c 28 Wanneer ek dan hiermee klaar is en hierdie bydrae* veilig by hulle afgelewer het, sal ek eers na julle toe kom voordat ek Spanje toe gaan. 29 En ek weet dat wanneer ek na julle toe kom, ek met die ryke seën van Christus sal kom.

30 Ek spoor julle dan nou aan, broers, deur ons Here Jesus Christus en deur die liefde van die gees, om saam met my intens tot God te bid vir my.^d 31 Bid dat ek van die ongelowiges in Jude'a gered sal word^e en dat die heiliges in Jerusalem my hulp gretig sal aanvaar.^f 32 Dan kan ek deur God se wil met vreugde na julle toe kom en saam met julle opgebou word. 33 Mag die God wat vrede gee, met julle almal wees.^g Amen.

16 Ek stel ons suster Fe'be aan julle voor. Sy is 'n dienaar van die gemeente in Kenchre'ë.^h 2 Verwelkom haar in die Here op 'n manier wat die heiliges waardig is, en help haar

15:28 *Lett. "vrug".

15:14 *Of "onderrig". 15:23 *Of moontlik "n paar jaar lank".

met enigiets wat sy nodig het,^a want sy het baie broers en susters bygestaan, en ook vir my.

3 Stuur groete vir Prisca en A'quila,^b my medewerkers in Christus Jesus. **4** Hulle het hulle lewens* vir my gewaag,^c en ek sowel as al die gemeentes van die nasies bedank hulle. **5** En groet die gemeente wat in hulle huis is.^d Groet my geliefde Epe'netus, wat een van Christus se eerste dissipels* in Asië is. **6** Groet Maria, wat hard vir julle gewerk het. **7** Groet Androni'kus en Ju'nias, my familielede^e en medegevangenes. Hierdie manne is al langer as ek volgelinge van Christus, en die apostels ken hulle goed.

8 Stuur groete vir Amplia'tus, my geliefde in die Here. **9** Groet Urba'nus, ons medewerker in Christus, en my geliefde Stagis. **10** Groet Apel'les, die een wat Christus se goedkeuring het. Groet dié uit die huis van Aristobu'lus. **11** Groet Hero'dion, my familie-lid. Groet dié uit die huis van Narsis'sus wat in die Here is. **12** Groet Trife'na en Trifo'sa, vrouens wat hard werk in die Here. Groet Per'sis, ons geliefde, want sy het hard gewerk in die Here. **13** Groet Rufus, die een wat deur die Here gekies is, en sy ma en myne. **14** Groet Asin'kritis, Flegon, Hermes, Pa'trobas, Hermas en die broers by hulle. **15** Groet Filo'logus en Julia, Ne'reus en sy suster, en Olim'pas en al die heiliges by hulle. **16** Groet mekaar met 'n heilige soen. Al die gemeentes van die Christus groet julle.

17 Broers, ek spoor julle dan nou aan om op te pas vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en ander laat struikel deur teen die

16:4 *Lett. "nekke". 16:5 *Of "se eers-
steling".

HFST. 16

a Ro 12:13
1Jo 3:17

b Han 18:2
Han 18:24, 26
2Ti 4:19

c 1Jo 3:16

d 1Kor 16:19
Kol 4:15
Flm 2

e Ro 16:11

Tweede kol.

a Mt 7:15
Tit 3:10
2Jo 10

b 1Kor 14:20

c Ge 3:15
Heb 2:14

d Ro 16:7

e 1Kor 1:14

f Ef 1:9-12
Kol 1:26, 27

g Ro 11:33

dinge te gaan wat julle geleer het, en vermy hulle.^a **18** Want sulke mense is nie slawe van ons Here Christus nie, maar van hulle eie begeertes,* en hulle verlei die harte van onskuldiges met mooipraatjies en vlei-taal. **19** Almal het gesien dat julle gehoorsaam is, en daarom is ek bly oor julle. Maar ek wil hê dat julle wys moet wees wanneer dit by goeie dinge kom, maar onskuldig moet wees wanneer dit by slegte dinge kom.^b **20** Die God wat vrede gee, sal Satan binnekort onder julle voete vergruis.^c Mag die onverdiende goedheid van ons Here Jesus met julle wees.

21 Timo'teus, my medewerker, groet julle, en so ook Lu'cius, Jason en Sosi'pater, my familielede.^d

22 Ek, Ter'tius, wat hierdie brief geskryf het, groet julle in die Here.

23 Gajus,^e wat my gasheer en dié van die hele gemeente is, groet julle. Eras'tus, die skatmeester,* groet julle, en so ook Quartus, sy broer. **24** *—

25 God kan julle standvas-tig maak volgens die goeie nuus wat ek bekend maak en volgens die boodskap oor Jesus Christus. Hierdie goeie nuus hou verband met die heilige geheim^f wat God geopenbaar het. Dit was vir 'n lang tyd geheim gehou, **26** maar nou is dit geopenbaar. Dit is deur middel van die profetiese Geskrifte onder al die nasies bekend gemaak volgens die bevel van die ewige God, sodat mense deur geloof gehoorsaam kan wees. **27** Mag God, wat alleen wys is,^g tot in ewigheid verheerlik word as gevolg van wat Jesus Christus gedoen het. Amen.

16:18 *Of "mae". 16:23 *Of "stadsbe-
stuurder". 16:24 *Sien Aanh. A3.

DIE EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTIËRS

O O R S I G

- Groete (1-3)
Paulus dank God vir Korintiërs (4-9)
Aansporing om verenig te wees (10-17)
Christus, die krag en wysheid van God (18-25)
Spog net oor Jehovah (26-31)
- Paulus se predikingswerk in Korinte (1-5)
Voortreflikheid van God se wysheid (6-10)
Geestelike mens teenoor fisiese mens (11-16)
- Korintiërs nog steeds vleeslik (1-4)
God laat dit groei (5-9)
Medewerkers van God (9)
Bou met vuurvaste materiaal (10-15)
Julle is God se tempel (16, 17)
Wêreldse wysheid is dwaasheid by God (18-23)
- Bestuurders moet getrou wees (1-5)
Nederigheid van Christenbedienaars (6-13)
‘Moenie verder gaan as wat geskryf is nie’ (6)
Christene ‘n teaterskouspel (9)
Paulus gee om vir sy geestelike kinders (14-21)
- ‘n Geval van seksuele onsedelikheid (1-5)
‘n Bietjie suurdeeg laat al die deeg gis (6-8)
“Verwyder die goddelose mens” (9-13)
- Regsake onder Christenbroers (1-8)
Dié wat Koninkryk nie sal ontvang nie (9-11)
Verheerlik God in julle liggaam (12-20)
“Vlug vir seksuele onsedelikheid!” (18)
- Raad vir ongetroudes en getroudes (1-16)
Bly soos jy was toe jy geroep is (17-24)
- Ongetroudes en weduwees (25-40)
Voordele van ongetroude lewe (32-35)
Trou “net in die Here” (39)
- Oor kos wat aan afgode geoffer is (1-13)
Vir ons is daar net een God (5, 6)
- Paulus se voorbeeld as ‘n apostel (1-27)
‘Jy mag nie ‘n bul se bek toebind nie’ (9)
‘Dit sal sleg gaan met my as ek nie preek nie!’ (16)
Paulus alle dinge vir alle mense (19-23)
Selfbeheersing in wedloop om die lewe (24-27)
- Waarskuwende voorbeelde uit Israel se geskiedenis (1-13)
Waarskuwing teen afgodediens (14-22)
Tafel van Jehovah, tafel van demone (21)
Vryheid en gewetens van ander (23-33)
“Doen alles tot eer van God” (31)
- “Word navolgers van my” (1)
Hoofskap en hoofbedekings (2-16)
Herdenking van Here se Aandmaal (17-34)
- Gawes van die gees (1-11)
Een liggaam, baie liggaamsdele (12-31)
- Liefde – ‘n Weg wat ver beter is as enigiets anders (1-13)
- Gawes van profesie en om in tale te praat (1-25)
Ordelike Christelike vergaderinge (26-40)
Vroue se plek in gemeente (34, 35)
- Opstanding van Christus (1-11)
Opstanding die grondslag vir geloof (12-19)

Christus se opstanding 'n waarborg (20-34)
 Fisiese liggaam, geestelike liggaam (35-49)
 Liggame wat nie kan sterf of vergaan nie (50-57)
 Baie om in werk van die Here te doen (58)

16 Insameling vir Christene in Jerusalem (1-4)
 Paulus se reisplanne (5-9)
 Timoteus en Apollos se beplande besoeke (10-12)
 Aansporing en groete (13-24)

1 Van Paulus, wat deur God se wil geroep is om 'n apostel van Christus Jesus te wees,^a en van ons broer Sos'tenes. **2** Aan die gemeente van God wat in Korinte^b is, aan julle wat in eenheid met Christus Jesus geheilig is,^c en wat geroep is om heiliges te wees, saam met almal wat oral die naam aanroep van ons Here Jesus Christus,^d hulle Here en ons s'n:

3 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

4 Ek dank my God altyd vir julle omdat God sy onverdiende goedheid deur Christus Jesus aan julle gegee het. **5** Deur hom het God julle in elke opsig ryk gemaak, in die volle vermoë om te praat en in alle kennis.^e **6** Net so is die getuienis oor die Christus^f onder julle bevestig, **7** sodat julle alles sal hê wat julle nodig het terwyl julle gretig wag dat ons Here Jesus Christus geopenbaar word.^g **8** Hy sal julle ook tot die einde toe standvastig maak, sodat niemand julle van enigiets kan beskuldig in die dag van ons Here Jesus Christus nie.^h **9** God is getrou,ⁱ en hy het julle geroep om met sy Seun Jesus Christus, ons Here, verenig te wees.*

1:9 *Of "deelgenootskap te hê".

HFST. 1

- a Han 9:15
 b Han 18:1
 c 1Kor 6:11
 Heb 9:13, 14
 d Mt 12:18, 21
 Han 4:12
 e Kol 1:9
 f Han 18:5
 g Lu 17:29, 30
 2Te 1:7
 1Pe 1:7
 h 1Kor 4:5
 1Kor 5:5
 Op 1:10
 i De 7:9

Tweede kol.

- a Ro 16:17
 b Ro 15:5, 6
 2Kor 13:11
 Ef 4:1, 3
 Flp 2:2
 c Han 18:24
 1Kor 3:4, 5
 1Kor 3:21-23
 d Han 18:8
 e Ro 16:23
 f 1Kor 16:15
 g Han 9:15

10 Ek spoor julle dan nou almal aan, broers, deur die naam van ons Here Jesus Christus, om verenig te wees in wat julle sê en om nie enige verdeeldhede onder julle te hê nie,^a maar om heeltmaal verenig te wees in dieselfde denke en in dieselfde opinie.^b **11** Want party van Chloë se huismense het vir my gesê dat daar onenighede onder julle is, my broers. **12** Ek noem dit omdat party van julle sê: "Ek behoort aan Paulus," "Maar ek aan Apol'los,"^c "Maar ek aan Sefas,"* "Maar ek aan Christus". **13** Is die Christus verdeeld? Paulus is tog nie vir julle aan die paal gehang nie, of hoe? Of is julle in die naam van Paulus gedoop? **14** Ek dank God dat ek nie een van julle gedoop het nie, behalwe Krispus^d en Gajus,^e **15** sodat niemand kan sê dat julle in my naam gedoop is nie. **16** Ja, ek het ook die huismense van Ste'fanus^f gedoop. Verder weet ek nie of ek enigiemand anders gedoop het nie. **17** Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die goeie nuus bekend te maak^g – en nie met wysheid van woorde* nie, sodat die folterpaal^h van die Christus nie nutteloos gemaak sou word nie.

1:12 *D.w.s. Petrus. 1:17 *Of "slim praatjies". ^h Sien Woordelys.

18 Want die boodskap oor die folterpaal* is belaglik vir dié wat vernietig gaan word,^a maar vir ons wat gered gaan word, is dit God se krag.^b 19 Want daar is geskryf: "Ek sal die wysheid van die wyse mense laat verdwyn, en ek sal die intelligensie van die geleerde* mense verwerp."^c 20 Waar is die wyse mense? Waar is die skrifgeleerdes? Waar is die debatteerders van hierdie wêreld?* Het God nie die wysheid van die wêreld belaglik gemaak nie? 21 Die wêreld vertrou op hulle eie wysheid,^d en daarom het hulle God nie leer ken nie.^e Baie dink dat die boodskap wat ons verkondig, belaglik is,^f maar God het sy wysheid getoon deur dié te red wat as gevolg van hierdie boodskap glo.

22 Want die Jode vra vir wonderwerke^g en die Grieke soek na wysheid, 23 maar ons verkondig Christus, wat aan die paal gehang is. Vir die Jode is dit 'n struikelblok, maar vir die nasies iets belaglik.^h 24 Maar vir dié wat geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.ⁱ 25 Want iets belaglik wat van God af kom, is wyser as mense, en iets swaks wat van God af kom, is sterker as mense.^j

26 Broers, dink aan die tyd toe julle geroep is. Nie baie van julle was wys in die oë van mense* nie,^k nie baie was magtig nie, nie baie was uit 'n belangrike familie^l nie.^l 27 God het eerder die belaglike dinge van die wêreld uitgekies sodat hy

1:18 *Sien Woordelys. 1:19 *Lett. "intellektuele". 1:20; 2:6 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys. 1:26 *Lett. "volgens die vlees". ^lOf "van adellijke geboorte".

HFST. 1

a Han 17:18
1Kor 2:14

b Ro 1:16

c Jes 29:14

d Kol 2:8

e Lu 10:21

f 1Kor 2:14
1Kor 3:18g Mt 12:38
Lu 11:29

h Han 17:32

i Kol 2:3

j 2Kor 13:4

k Han 4:13

l Joh 7:48
Jak 2:5

Tweede kol.

a Mt 11:25

b 1Kor 2:6

c Ro 10:4
2Kor 5:21d Joh 17:19
Heb 10:10e Ro 3:24
Kol 1:13, 14f Jer 9:24
2Kor 10:17

HFST. 2

g Ef 3:5, 6
Kol 2:2

h 1Kor 1:17

i Ga 6:14

j Ro 15:18, 19
1Kor 4:20
1Te 1:5k 1Kor 14:20
Ef 4:13
Heb 5:14

l 1Kor 15:24

m Ro 16:25, 26
Ef 3:8, 9

die wyse mense kan laat skaam word, en hy het die swak dinge van die wêreld uitgekies sodat hy die sterk dinge kan laat skaam word.^a 28 God het ook die onbelangrike dinge van die wêreld uitgekies en die dinge waarop daar neergekyk word, die dinge wat nie is nie, sodat hy die dinge wat is, kan vernietig,^b 29 sodat niemand* voor God kan spog nie. 30 Maar dit is deur God dat julle in eenheid is met Christus Jesus, die een wat God se wysheid en regverdigheid^c aan ons openbaar en wat ons kan heilig^d en deur 'n losprys kan bevry,^e 31 sodat dit kan wees net soos daar geskryf is: "Laat hy wat spog, oor Jehovah* spog."^f

2 Broers, toe ek die heilige geheim^g van God aan julle bekend kom maak het, het ek nie met hoë woorde^h of wysheid na julle toe gekom nie. 2 Want ek het besluit om julle aandag net op Jesus Christus te vestig, die een wat aan die paal gehang is.ⁱ 3 Toe ek by julle kom, was ek swak en bang en het ek baie gebewe. 4 Toe ek gepraat en gepreek het, het ek nie woorde van wysheid gebruik om julle te oorreed nie, maar my woorde het die krag van die heilige gees getoon,^j 5 sodat julle geloof nie in mense se wysheid sou wees nie, maar in God se krag.

6 Met mense wat geestelik volwasse is,^k praat ons oor wysheid, maar nie oor die wysheid van hierdie wêreld* of oor die wysheid van die heersers van hierdie wêreld, wat nie meer sal bestaan nie.^l 7 Maar ons praat oor God se wysheid, wat 'n heilige geheim^m is. Voor hier-

1:29 *Lett. "geen vlees". 1:31 *Sien Aanh. A5.

die tydperke* het God besluit om volgens hierdie wysheid op te tree sodat ons eer sou ontvang. **8** Nie een van die heersers van hierdie wêreld* het hierdie wysheid leer ken nie,^a want as hulle dit geken het, sou hulle nie die glorieryke Here aan die paal gehang het nie. **9** Maar net soos daar geskryf is: “Die dinge wat God voorberei het vir dié wat hom liefhet, het die oog nie gesien nie en die oor nie gehoor nie, en dit het ook nie in die hart van die mens opgekom nie.”^b **10** Want God het dit deur sy gees aan ons geopenbaar,^c want die gees^d ondersoek alle dinge, selfs die diep dinge van God.^e

11 Wie ken die denke van 'n mens, behalwe daardie persoon self? Net so het niemand die denke van God leer ken nie, behalwe die gees van God. **12** En ons het nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die gees wat van God kom,^f sodat ons die dinge kan verstaan wat God uit sy goedheid aan ons gegee het. **13** Wanneer ons oor hierdie dinge praat, gebruik ons nie woorde wat ons deur menslike wysheid geleer het nie,^g maar woorde wat ons deur die gees geleer het.^h En so verduidelik* ons geestelike dinge met geestelike woorde.

14 Maar 'n fisiese mens aanvaar* nie die dinge van die gees van God nie, want dit is belaglik vir hom, en hy kan dit nie verstaan nie, want dit moet geestelik ondersoek word. **15** Die geestelike mens ondersoek egter alle dinge,ⁱ maar hy word

2:7 *Of “stelsels van dinge”. Sien Woordelys. 2:8 *Of “stelsel van dinge”. Sien Woordelys. 2:11 *Lett. “die gees van die mens wat in hom is”. 2:13 *Of “kombineer”. 2:14 *Of “ontvang”.

HFST. 2

a Joh 7:48
Han 13:27, 28

b Jes 64:4

c Mt 16:17
Mr 4:11
Ef 3:5
2Ti 1:9, 10
1Pe 1:12

d Joh 14:26
1Jo 2:27

e Ro 11:33

f Joh 15:26

g Kol 2:8

h Joh 16:13

i Ro 8:5

Tweede kol.

a Jes 40:13

b Ro 15:5

HFST. 3

c 1Kor 2:15
Kol 1:9

d 1Kor 14:20

e Heb 5:12-14

f Ro 8:7, 8

g Ga 5:19, 20

h Han 18:24, 25

i 2Kor 3:5, 6
Kol 1:23
1Ti 1:12

j Han 18:4

k Han 18:26-28
Han 19:1

l Ro 9:16

m Ro 2:6
1Kor 4:5
Op 22:12

n Ef 2:22
1Pe 2:5

o Ro 15:20
Heb 6:1

1 KORINTIËRS 2:8-3:10

deur niemand ondersoek nie. **16** Want “wie het die denke van Jehovah* leer ken, sodat hy Hom kan onderrig?”^a Maar ons het wel die denke van Christus.^b

3 Broers, ek kon dus nie met julle praat soos met geestelike mense nie,^c maar ek praat met julle soos met vleeslike mense, soos met klein kindertjies^d in Christus. **2** Ek het vir julle melk gegee, nie vaste voedsel nie, want julle was nog nie sterk genoeg nie. Om die waarheid te sê, selfs nou is julle nie sterk genoeg nie,^e **3** want julle is nog steeds vleeslik.^f Daar is jaloesie en stryery onder julle. Bewys dit dan nie dat julle vleeslik is^g en dat julle julle soos mense gedra nie? **4** Want julle gedra julle soos blote mense wanneer die een sê: “Ek behoort aan Paulus,” maar 'n ander een sê: “Ek behoort aan Apol'los.”^h

5 Wat is Apol'los dan? Ja, wat is Paulus? Bedienaarsⁱ wat die werk doen wat die Here aan elkeen gegee het en deur wie julle gelowiges geword het. **6** Ek het geplant,^j Apol'los het natgegooi,^k maar God laat dit groei. **7** Die een wat plant en die een wat natgooi, verdien dus nie die eer nie, maar eerder God wat dit laat groei.^l **8** Die een wat plant en die een wat natgooi, het dieselfde doelwit,^m maar elkeen sal sy eie beloning ontvang volgens sy eie werk.^m **9** Want ons is God se medewerkers. Julle is God se saailand wat bewerk word, God se gebou.ⁿ

10 Volgens die onverdiende goedheid wat God aan my gegee het, het ek as 'n vaardige meesterbouer 'n fondament gelê,^o

2:16 *Sien Aanh. A5. 3:8 *Lett. “is een”.

maar iemand anders bou daarop. Elkeen moet dus bly aandag skenk aan hoe hy daarop bou. **11** Want niemand kan enige ander fondament lê as wat reeds gelê is nie, dit is Jesus Christus.^a **12** As iemand dan nou op die fondament met goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi of strooi bou, **13** sal elkeen se bouwerk duidelik gemaak word, want die dag sal dit duidelik maak. Dit sal deur middel van vuur geopenbaar word,^b en die vuur sal wys van watter gehalte elkeen se bouwerk is. **14** As iemand se bouwerk bly staan, sal hy 'n beloning ontvang. **15** As iemand se bouwerk afbrand, sal hy verlies ly, maar hy sal gered word, en selfs dan sal dit wees asof hy uit 'n vuur gered is.

16 Weet julle nie dat julle God se tempel^c is en dat die gees van God in julle woon nie?^d

17 As iemand die tempel van God vernietig, sal God hom vernietig, want die tempel van God is heilig, en julle is daardie tempel.^e

18 Laat niemand homself bedrieg nie: As een van julle dink dat hy wys is in hierdie wêreld,^{*} laat hom 'n dwaas word, sodat hy wys kan word. **19** Die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God, want daar is geskryf: "Hy vang die wyses met hulle eie slinkse planne."^f **20** En ook: "Jehovah^{*} weet dat die redenasies van die wyses niks beteken nie."^g **21** Laat niemand dus oor mense spog nie, want alles behoort aan julle, **22** of dit nou Paulus of Apol'os of Sefas^{*} is,^h of die wêreld of die lewe of die dood of

3:18 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys. 3:20; 4:4 *Sien Aanh. A5. 3:22 *D.w.s. Petrus.

HFST. 3

a Ps 118:22
Jes 28:16
Mt 21:42
Ef 2:20
1Pe 2:6

b 1Pe 4:12

c 2Kor 6:16
Ef 2:21
1Pe 2:5

d 1Kor 6:19

e 1Pe 2:5

f Job 5:13

g Ps 94:11

h 1Kor 1:12

Tweede kol.

a Joh 17:9
2Kor 10:7

HFST. 4

b Mt 13:11
Ro 16:25, 26

c Spr 21:2
Ro 14:10
Heb 4:13

d Mt 7:1

e Spr 10:9
2Kor 10:18
1Ti 5:24, 25

f 1Kor 1:12

g Ro 12:3
2Kor 12:20
3Jo 9

h Joh 3:27

i Op 20:4, 6

j 2Ti 2:12
Op 3:21

dinge wat nou gebeur of dinge wat nog gaan gebeur, alles behoort aan julle, **23** maar julle behoort aan Christus,^a en Christus behoort aan God.

4 Mense moet ons beskou as dienaars van Christus en bestuurders van God se heilige geheime.^b **2** En daar word van bestuurders verwag dat hulle getrou moet wees. **3** Vir my is dit glad nie belangrik dat julle of enige menslike hof my ondersoek nie. Om die waarheid te sê, ek ondersoek nie eers myself nie, **4** want ek is nie bewys van enigiets teen my nie. Maar dit bewys nie dat ek regverdig is nie. Die een wat my ondersoek, is Jehovah.^{*c} **5** Daarom moet julle nie voor die vasgestelde tyd oordeel nie,^d totdat die Here kom. Hy sal die geheime dinge van die duisternis openbaar en die planne van die harte bekend maak, en dan sal God elkeen prys.^e

6 Broers, ek het hierdie dinge dan nou vir julle eie beswil op my en Apol'os^f toegepas, sodat julle die volgende reël deur ons kan leer: "Moenie verder gaan as die dinge wat geskryf is nie." Dan sal julle nie opgeblase van trots^g wees en die een bo die ander voortrek nie. **7** Want wat maak jou dan anders as iemand anders? Ja, wat het jy wat jy nie ontvang het nie?^h As jy dit dan in werklikheid ontvang het, hoekom spog jy asof jy dit nie ontvang het nie?

8 Is julle al klaar versadig? Is julle al klaar ryk? Het julle sonder ons as konings begin regeer?ⁱ Ek wens dat julle al as konings begin regeer het, want dan kon ons ook saam met julle as konings regeer.^j **9** Want dit lyk vir my asof God ons, die apostels, laaste laat verskyn

het as mense wat tot die dood veroordeel is,^a want ons het 'n teaterskouspel geword vir die wêreld^b en vir engele en vir mense. **10** Ons is dwase^c ter wille van Christus, maar julle is verstandig omdat julle Christus volg. Ons is swak, maar julle is sterk. Julle word geëer, maar daar word op ons neergekyk. **11** Tot op hierdie uur is ons nog steeds honger^d en dors^e en het ons skaars klere aan* en word ons geslaan^f en is ons dakloos **12** en werk ons hard met ons eie hande.^g Wanneer ons beledig word, seën ons.^h Wanneer ons vervolgd word, verdra ons dit geduldig.ⁱ **13** Wanneer ons naam deur die modder gesleep* word, gee ons 'n sagte antwoord.^j Tot nou toe het ons soos die vullis van die wêreld geword, die skuim^k van alle dinge.

14 Ek skryf nie hierdie dinge om julle te laat skaam kry nie, maar om julle raad te gee as my geliefde kinders. **15** Want al het julle ook 10 000 oppassers* in Christus, het julle beslis nie baie vaders nie, want in Christus Jesus het ek julle vader geword deur middel van die goeie nuus.^k **16** Ek spoor julle dus aan: Word navolgers van my! **17** Daarom stuur ek Timo^lteus na julle toe, want hy is my geliefde en getroue kind in die Here. Hy sal julle herinner aan die metodes wat ek volg* in my diens aan Christus Jesus,^m dieselfde metodes wat ek oral in elke gemeente aan ander leer.

18 Party is opgeblase van trots, want hulle dink dat ek nie

4:11 * Lett. "is ons kaal". #Of "sleg behandel". 4:13 *Of "belaster". #Lett. "smeek ons". ^Of "afskraapsel". 4:15 *Of "tugmeesters". 4:17 *Lett. "my weë".

HFST. 4

a Ro 8:36
1Kor 15:32
2Kor 6:4, 9

b Heb 10:33

c 1Kor 3:18

d Flp 4:12

e 2Kor 11:27

f Han 14:19
Han 23:2
2Kor 11:24

g Han 18:3
Han 20:34
1Te 2:9

h Ro 12:14
1Pe 3:9

i Mt 5:44

j 1Pe 2:23

k Ga 4:19
1Te 2:11

l 1Kor 11:1
Flp 3:17
1Te 1:6

m 2Ti 1:13

Tweede kol.

a 2Kor 13:10

HFST. 5

b Ef 5:3

c Le 18:8

d 2Kor 7:9

e 1Kor 5:13
2Jo 10

f 1Ti 1:20

g 1Kor 1:8

h 1Kor 15:33
Ga 5:9
2Ti 2:16, 17

i Joh 1:29

j 1Pe 1:19, 20
Op 5:12

1 KORINTIËRS 4:10-5:8

na julle toe kom nie. **19** Maar ek sal binnekort na julle toe kom, as Jehovah* wil, nie om te luister na die woorde van hierdie mense wat opgeblase van trots is nie, maar om uit te vind of hulle God se krag het of nie. **20** Want die Koninkryk van God gaan nie oor woorde nie, maar oor krag. **21** Wat verkies julle? Moet ek met 'n slaanding na julle toe kom,^a of met liefde en sagmoedigheid?

5 Ek het gehoor dat daar sekuele onsedelikheid*^b onder julle is, die soort onsedelikheid* wat nie eers onder die nasies voorkom nie – waar 'n man saam met sy pa se vrou lewe.^c **2** Is julle trots daarop? Moet julle nie eerder hartseer wees nie?^d Moet julle nie die man wat dit gedoen het, onder julle uit verwyder nie?^e **3** Al is ek nie fisies daar nie, is ek daar in die gees, en ek het die man wat dit gedoen het, reeds geoordeel asof ek daar by julle is. **4** Wanneer julle in die naam van ons Here Jesus bymekaar is, sal ek in die gees saam met julle wees met die krag van ons Here Jesus. **5** Dan moet julle so iemand aan Satan oorlewer^f sodat daardie persoon se slegte invloed* vernietig kan word en die gees van die gemeente^g gered kan word in die dag van die Here.^g

6 Dit is nie goed dat julle so trots is nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg al die deeg laat gis nie?^h **7** Verwyder die ou suurdeeg sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees. Dit is tog wat julle eintlik is, want Christus, ons Pasga-lam,ⁱ is geoffer.^j **8** Laat ons die fees dus

4:19 *Sien Aanh. A5. 5:1 *Grieks: *porneia*. Sien Woordelys. #Lett. "die vrou van sy pa het". 5:5 *Lett. "die vlees". #Lett. "die gees".

nie met ou suurdeeg vier nie,^a en ook nie met suurdeeg van slegtheid en goddeloosheid nie, maar met ongesuurde brood van opregtheid en waarheid.

9 In my brief het ek aan julle geskryf dat julle moet op-hou assosieer met mense wat seksueel onsedelik* is. **10** Ek bedoel nie alle mense van hierdie wêreld wat seksueel onsedelik*^b of gierig is of wat ander afpersers of afgode aanbid nie. Anders sou julle in werklikheid die wêreld moes verlaat.^c **11** Maar nou skryf ek aan julle om op te hou assosieer^d met enigeen wat 'n broer genoem word maar wat seksueel onsedelik* of gierig is^e of wat afgode aanbid of ander uitstel^f of wat 'n dronkaard^f of 'n afperser^g is. Moenie eers saam met so iemand eet nie. **12** Want wat het ek te doen met die oordeel van die mense wat buite die gemeente is? Oordeel julle nie die mense wat binne die gemeente is **13** terwyl God die mense oordeel wat buite is nie?^h "Verwyder die goddelose mens onder julle uit."ⁱ

6 As een van julle 'n saak teen iemand anders het,^j hoe durf julle hof toe gaan om voor onregverdiges te verskyn en nie voor die heiliges nie? **2** Of weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?^k En as die wêreld deur julle geoordeel sal word, is julle dan nie in staat om onbelangrike sake te verhoor nie? **3** Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie?^l Hoekom dan nie alledaagse sake nie? **4** As julle dan wel alledaagse sake het wat verhoor moet word,^m hoekom stel julle dan manne as regters aan

5:9-11; 6:9 *Sien Woordelys, "Seksueel onsedelikheid". 5:11 *Of "wat 'n kwaadspreker is".

HFST. 5

- a Eks 13:7
b 1Jo 2:17
c Joh 17:15
d Nu 16:25, 26
Ro 16:17
2Jo 10
e Ef 5:5
f De 21:20, 21
1Pe 4:3
g 1Kor 6:9, 10
Ga 5:19-21
h Pr 12:14
i Ge 3:23, 24
De 17:7
Tit 3:10
2Jo 10

HFST. 6

- j Mt 18:15-17
k Op 2:26, 27
Op 20:4
l Ro 16:20
m Mt 18:17

Tweede kol.

- a Mt 5:39, 40
b Ef 5:5
Op 22:15
c Op 21:8
d Kol 3:5
e Heb 13:4
f Ro 1:27
g 1Ti 1:9, 10
h 1Kor 5:11
i De 21:20, 21
Spr 23:20
1Pe 4:3
j Heb 12:14
k Han 22:16
Heb 10:22
l Ef 5:25, 26
2Te 2:13
m Ro 5:18
n 1Kor 10:23
o Ro 14:17

op wie die gemeente neersien? **5** Ek sê hierdie dinge om julle te laat skaam kry. Is daar nie een wyse man onder julle wat tussen sy broers kan oordeel nie? **6** Maar nou sleep een broer die ander broer hof toe, en dit nog voor ongelowiges!

7 Om die waarheid te sê, as julle mekaar hof toe sleep, het julle al klaar verloor. Hoekom laat julle nie eerder toe dat julle 'n onreg aangedoen word nie?^a Hoekom laat julle nie eerder toe dat julle benadeel word nie? **8** In plaas daarvan doen julle ander 'n onreg aan en benadeel julle hulle, en julle doen dit nogal aan julle broers!

9 Of weet julle nie dat onregverdig mense God se Koninkryk nie sal erf nie?^b Moenie mislei word nie. Mense wat seksueel onsedelik*^c is, afgode aanbid,^d egbreuk pleeg,^e sowel as mans wat toelaat dat hulle vir homoseksuele dade gebruik word,^f mans wat homoseksualiteit beoefen,^g **10** diewe, mense wat gierig is,^h dronkaards,ⁱ mense wat ander uitstel* en afpersers sal God se Koninkryk nie erf nie.^j **11** En tog is dit wat party van julle was. Maar julle is skoon gewas,^k julle is geheilig,^l julle is regverdig verklaar^m in die naam van die Here Jesus Christus en met die gees van ons God.

12 Alles is toelaatbaar,* maar nie alles is voordelig nie.ⁿ Alles is toelaatbaar, maar ek sal my nie deur enigiets laat beheer^o nie. **13** Kos is vir die maag, en die maag is vir kos, maar God sal 'n einde aan albei maak.^o Die liggaam is nie

6:9 *Of "mans wat met mans seks het". Lett. "mans wat by mans lê". 6:10 *Of "kwaadsprekers". 6:12 *Of "my geoorloof". *Of "oorheers".

vir seksuele onsedelikheid* nie, maar vir die Here,^a en die Here is vir die liggaam. **14** Maar God het die Here opgewek^b en sal ons ook deur sy krag^c uit die dood opwek.^d

15 Weet julle nie dat julle liggame deel van Christus is nie?^e Sal ek dan 'n deel van die Christus wegneem en dit met 'n prostituut verenig? Beslis nie! **16** Weet julle nie dat iemand wat hom met 'n prostituut verenig deur seksuele omgang met haar te hê, een liggaam met haar is nie? Want hy sê: "Die twee sal een vlees wees."^f **17** Maar hy wat met die Here verenig is, is een saam met hom in gees.^g **18** Vlug vir seksuele onsedelikheid!^h Elke ander sonde wat 'n mens pleeg, is buite sy liggaam, maar hy wat seksuele onsedelikheid beoefen, sondig teen sy eie liggaam.ⁱ **19** Weet julle nie dat julle liggaam die tempel^j is van die heilige gees wat in julle is en wat julle van God ontvang het nie?^k En julle behoort nie aan juleself nie,^l **20** want julle is met 'n prys gekoop.^m Eer Godⁿ dan met julle liggame.^o

7 Ek wil nou die dinge bespreek waaroor julle aan my geskryf het. Dit is beter vir 'n man om nie aan 'n vrou te raak* nie, **2** maar omdat seksuele onsedelikheid* so algemeen is, moet elke man sy eie vrou hê,^p en elke vrou haar eie man.^q **3** Laat die man sy plig teenoor sy vrou nakom, en laat die vrou ook dieselfde teenoor haar man doen.^r **4** Die vrou het nie gesag oor haar eie liggaam nie, maar haar man het. Net so het

6:13, 18 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. **7:1** *Verwys na seksuele kontak. **7:2** *Die meervoud van die Griekse woord *por-nei'a*. Sien Woordelys.

HFST. 6

a 1Te 4:3

b Han 2:24

c Ro 8:11
Ef 1:19, 20

d 2Kor 4:14

e Ro 12:4, 5
1Kor 12:18, 27
Ef 4:15
Ef 5:29, 30f Ge 2:24
Mt 19:4, 5

g Joh 17:20, 21

h Ge 39:10-12
1Te 4:3

i Ro 1:24, 27

j 2Kor 6:16

k 1Kor 3:16

l Ro 14:8

m 1Kor 7:23
Heb 9:12
1Pe 1:18, 19

n Mt 5:16

o Ro 12:1

HFST. 7

p Spr 5:18, 19

q Ge 2:24
Heb 13:4r Eks 21:10
1Kor 7:5

Tweede kol.

a Mt 19:10, 11

b 1Kor 7:39, 40
1Kor 9:5c 1Te 4:4, 5
1Ti 5:11, 14d Mt 5:32
Mt 19:6e Mr 10:11
Lu 16:18

f 1Kor 7:25, 40

die man nie gesag oor sy eie liggaam nie, maar sy vrou het. **5** Moenie seksuele omgang van mekaar weerhou nie, behalwe as julle albei saam besluit dat julle dit vir 'n spesifieke tyd sal doen sodat julle tyd kan opsy-sit vir gebed. Daarna moet julle weer bymekaarkom, sodat Satan julle nie kan verlei as gevolg van 'n gebrek aan selfbeheersing nie. **6** Wat ek hierbo sê, is iets wat julle mag doen, maar dit is nie 'n opdrag nie. **7** Ek wens dat alle mense soos ek is. Maar elkeen het sy eie gawe^a van God, die een op hierdie manier, die ander op daardie manier.

8 En vir dié wat nie getroud is nie en vir die weduwees sê ek dat dit vir hulle beter is as hulle bly soos ek is.^b **9** Maar as hulle nie selfbeheersing het nie, laat hulle trou, want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.^c

10 Aan die getroudes gee ek instruksies, nie ek nie, maar die Here, dat 'n vrou nie van haar man moet weggaan nie.^d **11** Maar as sy wel weggaan, moet sy ongetroud bly of teruggaan na haar man toe.* 'n Man moet ook nie sy vrou verlaat nie.^e

12 Maar vir die ander sê ek, ja ek, nie die Here nie:^f As enige broer 'n ongelowige vrou het en sy bereid is om by hom te bly, moet hy haar nie verlaat nie. **13** En as 'n vrou 'n ongelowige man het en hy bereid is om by haar te bly, moet sy haar man nie verlaat nie. **14** Want die ongelowige man is geheilig as gevolg van sy vrou, en die ongelowige vrou is geheilig as gevolg van haar gelowige man.*

7:11 *Of "weer met haar man versoen raak". **7:14** *Lett. "die broer".

Anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.

15 Maar as die ongelowige kies om weg te gaan, laat hom weggaan. Onder sulke omstandighede is die gelowige maat* nie gebind nie, maar God het julle geroep om in vrede te lewe.^a

16 Want vrou, hoe weet jy of jy nie dalk jou man sal red nie?^b Of man, hoe weet jy of jy nie dalk jou vrou sal red nie?

17 Laat elkeen lewe volgens die omstandighede wat Jehovah* vir hom toegelaat het en soos God hom geroep het.^c Ek gee hierdie opdrag aan al die gemeentes. **18** Was iemand reeds besny toe hy geroep is?^d

Laat hom so bly. Is iemand geroep toe hy nie besny was nie? Laat hom nie besny word nie.^e **19** Om besny te wees, is nie belangrik nie, en om nie besny te wees nie, is nie belangrik nie.^f Wat wel belangrik is, is om aan God se gebooië gehoorsaam te wees.^g **20** Laat elkeen bly soos hy was toe hy geroep is.^h

21 Was jy 'n slaaf toe jy geroep is? Moenie dat dit jou bekommer nie.ⁱ Maar as jy die geleentheid het om vry te word, maak gebruik daarvan. **22** Want enigeen wat 'n slaaf was toe hy in die Here geroep is, is 'n vrygelatene en behoort aan die Here.^j

Net so is enigeen wat 'n vryman was toe hy geroep is, 'n slaaf van Christus. **23** Julle is met 'n prys gekoop.^k Hou op om slawe van mense te word. **24** Broers, laat elkeen voor God bly soos hy was toe hy geroep is.

25 Vir die maagde* het ek nie 'n bevel van die Here nie, maar ek gee my mening^l as iemand wat betroubaar is weens die ge-

7:15 *Lett. "‘n broer of ‘n suster". **7:17** *Sien Aanh. A5. **7:25** *Of "dié wat nooit getrou het nie".

HFST. 7

a Heb 12:14

b 1Pe 3:1, 2

c 1Kor 7:7

d Han 21:20

e Han 10:45
Han 15:1, 24
Ga 5:2f Ga 6:15
Kol 3:11g Pr 12:13
Jer 7:23
Ro 2:25
Ga 5:6
1Jo 5:3

h 1Kor 7:17

i Ga 3:28

j Joh 8:36
Flm 15, 16k 1Kor 6:19, 20
Heb 9:12
1Pe 1:18, 19l 1Kor 7:12
1Kor 7:40

Tweede kol.

a Mal 2:16
Mt 19:6
Ef 5:33b Ro 13:11
1Pe 4:7

c 1Ti 5:8

d 1Ti 5:5

nade wat die Here betoon het. **26** Omdat ons in hierdie moeilike tyd lewe, dink ek dus dat dit vir 'n mens beter is om te bly soos hy is. **27** Is jy gebind aan 'n vrou? Hou op om te probeer vrykom.^a Is jy nie aan 'n vrou gebind nie? Hou op om 'n vrou te soek. **28** Maar al trou jy, pleeg jy nie sonde nie. En as 'n maagd trou, pleeg so iemand nie sonde nie. Mense wat wel trou, sal probleme ondervind.* Maar ek probeer julle dit spaar.

29 En ek wil ook byvoeg, broers: Die oorblywende tyd is kort.^b Laat dié wat vrouens het, van nou af wees asof hulle nie vrouens het nie, **30** en dié wat huil, soos dié wat nie huil nie, en dié wat bly is, soos dié wat nie bly is nie, en dié wat koop, soos dié wat nie besit nie, **31** en dié wat van die wêreld gebruik maak, soos dié wat dit nie ten volle gebruik nie, want die toneel van hierdie wêreld is besig om te verander. **32** Ja, ek wil hê dat julle sonder bekommernisse moet wees. Die ongetroude man is besorg oor die dinge van die Here, hoe hy die Here se goedkeuring kan verkry. **33** Maar die getroude man is besorg oor die dinge van die wêreld,^c hoe hy sy vrou se goedkeuring kan verkry, **34** en hy is verdeeld. En die ongetroude vrou en die maagd is besorg oor die dinge van die Here,^d sodat sy in haar liggaam sowel as in haar gees heilig kan wees. Maar die getroude vrou is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe sy haar man se goedkeuring kan verkry. **35** Maar ek sê dit tot julle eie voordeel, nie om beperkings op julle te plaas nie, maar

7:28 *Lett. "sal verdrukking in hulle vlees hê".

om julle aan te spoor om te doen wat gepas is en om die Here heelhartig te bly dien sonder dat julle aandag afgetrek word.

36 Maar as iemand dink dat hy hom onbehoorlik gedra deur ongetroud te bly* en hy verby die bloei van die jeug is, laat hom doen wat hy wil. Hy sondig nie. Laat hulle trou.^a **37** Maar as iemand in sy hart vasbeslote is en nie die behoefte het nie, maar hy beheer oor homself het en in sy hart besluit het om ongetroud te bly,* sal hy goed doen.^b **38** Die een wat trou,* doen ook goed, maar die een wat nie trou nie, doen beter.^c

39 'n Vrou is gebind solank as wat haar man lewe.^d Maar as haar man sterf,* is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in die Here.^e **40** Maar in my opinie is sy gelukkiger as sy bly soos sy is. Ek dink beslis dat ek ook God se gees het.

8 Nou skryf ek aan julle oor kos wat aan afgode geoffer is.^f Ons weet dat ons almal kennis het.^g Kennis maak trots,* maar liefde bou op.^h **2** As iemand dink dat hy iets weet, weet hy nog nie soveel daarvan as wat hy behoort te weet nie. **3** Maar as iemand God liefhet, word hy deur Hom geken.

4 En nou skryf ek oor die een wat kos eet wat aan afgode geoffer is. Ons weet dat 'n afgod niks in die wêreld is nie/ en dat daar net een God is.ⁱ **5** Want selfs al is daar sogenaamde gode, of dit nou in die hemel of

7:36 *Of "ten opsigte van sy maagdelikheid". 7:37 *Of "om sy maagdelikheid te bewaar". 7:38 *Of "wat sy maagdelikheid in die huwelik gee". 7:39 *Lett. "gaan slaap". 8:1 *Lett. "blaas op".

HFST. 7

a Mt 19:12

1Kor 7:28

b Mt 19:10, 11

c 1Kor 7:32

d Ro 7:2

e Ge 24:2, 3

De 7:3, 4

Ne 13:25, 26

2Kor 6:14

HFST. 8

f Han 15:20, 29

g Ro 14:14

1Kor 8:10

h 1Kor 8:13

1Kor 13:4, 5

i De 32:21

2Kn 19:17, 18

Jer 16:20

j De 6:4

De 32:39

Tweede kol.

a Ps 82:1, 6
Joh 10:34, 35

b 1Ti 2:5

c Mal 2:10

Mt 23:9

d Han 17:28

Ro 11:36

e Joh 1:1, 3

Kol 1:15, 16

f Ro 14:14

g 1Kor 10:27, 28

h Ro 14:23

i Ro 14:17

j Heb 13:9

k Ro 14:13, 20

l Ro 14:15

m 1Kor 10:28, 29

n Mt 18:6

Ro 14:15, 21

HFST. 9

o Han 9:3-5

1Kor 15:7, 8

1 KORINTIËRS 7:36-9:2

op die aarde is,^a net soos daar baie "gode" en baie "here" is, **6** is daar in werklikheid vir ons net een God,^b die Vader,^c uit wie alles is en vir wie ons lewe.^d En daar is een Here, Jesus Christus, deur wie alles is,^e en deur wie ons lewe.

7 Maar nie almal het hierdie kennis nie.^f Omdat party voorheen 'n afgod aanbid het, voel hulle dat hulle nog steeds iets eet wat aan 'n afgod geoffer is,^g en omdat hulle gewete swak is, voel hulle skuldig.^{*h} **8** Maar kos sal ons nie nader aan God bring nie.ⁱ Ons is nie slegter af as ons nie eet nie en ook nie beter af as ons wel eet nie.^j **9** Maar pasop dat jou reg om te kies, nie 'n struikelblok word vir dié wat swak is nie.^k

10 Want as iemand wat swak is, sien dat jy, wat kennis het, 'n maaltyd in 'n afgodstempel eet, sal dit nie sy gewete só beïnvloed dat hy ook kos sal eet wat aan afgode geoffer is nie?

11 Deur jou kennis word die geloof vernietig van die een wat swak is, jou broer vir wie Christus gesterf het.^l **12** Wanneer julle op hierdie manier teen julle broers sondig en hulle swak gewete seermaak,^m sondig julle teen Christus. **13** As kos my broer dus laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie, sodat ek my broer nie sal laat struikel nie.ⁿ

9 Is ek nie vry nie? Is ek nie 'n apostel nie? Het ek nie Jesus, ons Here, gesien nie?^o Is julle nie my werk in die Here nie? **2** Selfs al is ek nie 'n apostel vir ander nie, is ek beslis vir julle! Want julle is die seël wat my apostelskap in die Here bevestig.

8:7 *Of "hulle gewete word verontreinig".

3 Hier is my verdediging teenoor dié wat my ondersoek: 4 Ons het die reg* om te eet en te drink, nie waar nie? 5 Ons het die reg om 'n gelowige vrou* saam te neem^a soos die res van die apostels, die Here se broers^b en Sefas,^c nie waar nie? 6 Of is dit net ek en Bar'nabas^d wat nie die reg het om te werk om ons te onderhou nie? 7 Watter soldaat moet ooit vir sy eie uitgawes betaal? Wie plant 'n wingerd en eet nie die vrugte daarvan nie?^e Of watter herder gebruik nie van die melk van die kudde nie?

8 Sê ek hierdie dinge uit 'n menslike oogpunt? Of sê die Wet nie ook hierdie dinge nie? 9 Want in die Wet van Moses is daar geskryf: "Jy mag nie 'n bul se bek toebind wanneer hy op die dorsvloer werk nie."^f Is God bekommerd oor bulle? 10 Of sê hy dit eintlik vir ons? Dit is eintlik vir ons geskryf, want die man wat ploeg en die man wat op die dorsvloer werk, behoort dit te doen omdat hulle hoop dat hulle 'n deel sal ontvang.

11 As ons geestelike dinge tussen julle gesaai het, is dit te veel gevra om materiële dinge van julle te oes?^g 12 As ander die reg het om iets by julle te kry, is ons reg daarop dan nie soveel groter nie? En tog het ons nie van hierdie reg* gebruik gemaak nie.^h Maar ons verdra alle dinge, sodat ons nie op enige manier keer dat die goeie nuus oor die Christus versprei word nie.ⁱ 13 Weet julle nie dat die manne wat heilige take verrig, die dinge van die tempel eet en dat dié wat gereed by die altaar dien, 'n deel by die altaar ontvang nie?^j 14 Die Here het

9:4, 12, 18 * Lett. "gesag". 9:5 * Of "n suster as vrou". ^a D.w.s. Petrus.

HFST. 9

a Mt 19:11

b Mt 13:55
Ga 1:19

c Joh 1:42

d Han 13:2

e De 20:6
Spr 27:18f De 25:4
1Ti 5:18g Ro 15:26, 27
Ga 6:6
Flp 4:15-17h Han 18:3
Han 20:34
2Te 3:7, 8i 2Kor 6:3
2Kor 11:7j Le 6:14, 16
Nu 18:30, 31
De 18:1

Tweede kol.

a Mt 10:9, 10
Lu 10:7, 8b Han 18:3
Han 20:34
1Kor 4:11, 12
2Te 3:8

c 2Kor 11:8-10

d Ese 3:18

e Ga 2:7
Ef 3:1, 2
Kol 1:25f Han 16:3
Han 18:18

g Han 21:24, 26

h Joh 13:34
Ga 6:2i Ro 14:1
Ro 15:1
2Kor 11:29

ook dié wat die goeie nuus verkondig, beveel om deur middel van die goeie nuus te lewe.^a

15 Maar ek het nie van een van hierdie voorsienings gebruik gemaak nie.^b Ek het nie hierdie dinge geskryf sodat dit vir my gedoen kan word nie, want dit sal vir my beter wees om te sterf as dat iemand my rede om trots te wees van my af wegneem!^c 16 As ek dan die goeie nuus bekend maak, het ek geen rede om te spog nie, want ek is verplig om dit te doen. Dit sal sleg gaan met my as ek die goeie nuus nie bekend maak nie!^d 17 As ek dit gewillig doen, het ek 'n beloning, maar selfs al doen ek dit teen my sin, het ek nog steeds 'n bestuurderskap wat aan my gegee is.^e 18 Wat is my beloning dan? Dat ek die goeie nuus kosteloos kan aanbied wanneer ek dit bekend maak, sodat ek nie my reg* in verband met die goeie nuus misbruik nie.

19 Want al is ek vry van almal, het ek my 'n slaaf van almal gemaak sodat ek soveel mense as moontlik kan wen. 20 Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword sodat ek Jode kan wen.^f Vir die mense onder die wet het ek soos iemand onder die wet geword, al is ek nie self onder die wet nie, sodat ek dié onder die wet kan wen.^g 21 Vir die mense sonder wet het ek soos iemand sonder wet geword, al is ek nie sonder wet ten opsigte van God nie, maar onder die wet ten opsigte van Christus,^h sodat ek dié sonder wet kan wen. 22 Vir die swakkes het ek swak geword sodat ek die swakkes kan wen.ⁱ Ek het alles vir alle soorte mense geword sodat ek op elke moontlike manier sommige kan red. 23 Maar ek doen alles ter wille

van die goeie nuus, sodat ek dit aan ander kan verkondig.^a

24 Weet julle nie dat die hardlopers in 'n wedloop almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop op so 'n manier dat julle dit kan wen.^b **25** Elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem,^c beoefen selfbeheersing in alles. Hulle doen dit natuurlik om 'n kroon te kry wat kan vergaan,^c maar ons doen dit om 'n kroon te kry wat nie vergaan nie.^d **26** Daarom hardloop ek nie soos iemand sonder 'n doel nie,^e en ek veg nie soos iemand wat in die lug slaan nie, **27** maar ek straf* my liggaam^f en lei dit as 'n slaaf, sodat ek, nadat ek vir ander gepreek het, nie self op die een of ander manier afgekeur^g sou word nie.

10 Ek wil hê dat julle moet weet, broers, dat ons voorvaders almal onder die wolk was^g en almal deur die see getrek het^h **2** en almal in Moses gedoop is deur middel van die wolk en van die see **3** en almal dieselfde geestelike voedsel geëet hetⁱ **4** en almal dieselfde geestelike drank gedrink het.^j Want hulle het uit die geestelike rots gedrink wat saam met hulle gegaan het, en daardie rots het die Christus beteken.^{*k} **5** En tog het die meeste van hulle nie God se goedkeuring gehad nie, want hulle is in die wildernis doodgemaak.^l

6 En hierdie dinge het voorbeelde vir ons geword, sodat ons nie skadelike dinge moet begeer net soos hulle dit begeer het nie.^m **7** Moet ook nie afgodediens word, soos party van hulle geword het nie, net

9:25 *Of "Elke atleet". 9:27 *Of "kasty; dissipliner". ^gOf "gediskwalifiseer". 10:4 *Of "was die Christus".

HFST. 9

a Han 19:26
1Te 2:8

b Mt 10:22
Flp 3:14
2Ti 4:7,8

c 2Ti 2:5

d Jak 1:12

e Ga 2:2
Flp 2:16
Heb 12:1

f Ro 8:13
Kol 3:5

HFST. 10

g Eks 13:21

h Eks 14:21, 22

i Eks 16:14, 15

j Eks 17:6

k Nu 20:11
Joh 4:10, 25

l Nu 14:29
Nu 14:35

m Nu 11:4, 34

Tweede kol.

a Eks 32:4, 6

b Nu 25:1, 9

c De 6:16

d Nu 21:5, 6
Mt 4:7

e Nu 14:2

f Nu 14:36, 37

g Ro 15:4

h Spr 28:14
Lu 22:33, 34
Ga 6:1

i 1Pe 5:8, 9

j Lu 22:31, 32
2Pe 2:9

k Jes 40:29
Flp 4:13

l De 4:25, 26
2Kor 6:17
1Jo 5:21

m Mt 26:27, 28

n Mt 26:26
Lu 22:19
1Kor 12:18

o Ro 12:5

soos daar geskryf is: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink. Toe het hulle opgestaan om fees te vier."^a **8** En laat ons ook nie seksuele onsedelikheid* beoefen, soos party van hulle seksuele onsedelikheid* beoefen het en daar 23 000 van hulle op een dag gesterf het nie.^b **9** Laat ons Jehovah* ook nie toets,^c soos party van hulle hom getoets het en toe deur die slange doodgemaak is nie.^d **10** Moet ook nie mense wees wat kla, net soos party van hulle gekla het^e en toe deur die vernietiger doodgemaak is nie.^f **11** En hierdie dinge het met hulle gebeur as voorbeelde, en dit is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons^g wat aan die einde van die tydperke* lewe.

12 Die een wat dink dat hy staan, moet dus oppas dat hy nie val nie.^h **13** Die versoekings wat julle deurmaak, is iets wat ander mense ook deurmaak.ⁱ Maar God is getrou, en hy sal nie toelaat dat julle 'n versoeking deurmaak wat julle nie kan hanteer nie,^j maar saam met die versoeking sal hy ook die uitweg gee, sodat julle dit sal kan verduur.^k

14 Daarom, my geliefdes, vlug vir afgodediens.^l **15** Ek praat asof ek met mense praat wat tussen goed en sleg kan onderskei. Oordeel self wat ek sê.

16 Deel ons nie in die bloed van die Christus met die beker van seëning wat ons seën nie?^m Deel ons nie in die liggaam van die Christus met die brood wat ons breek nie?ⁿ **17** Omdat daar een brood is, is ons, al is ons baie, een liggaam,^o want ons almal eet daardie een brood.

10:8 *Sien Woordelys. 10:9 *Sien Aanh. A5. 10:11 *Of "die eindes van die stelsels van dinge". Sien Woordelys.

18 Kyk na vleeslike Israel: Het dié wat die offerandes eet, dan nie deel aan die aanbidding by die altaar nie?^a **19** Wat sê ek dan? Dat 'n afgodsoffer iets is, of dat 'n afgod iets is? **20** Nee, maar ek sê dat die nasies hulle offers aan demone offer en nie aan God nie,^b en ek wil nie hê dat julle by die demone moet aansluit nie.^c **21** Julle kan nie die beker van Jehovah* en die beker van demone drink nie. Julle kan nie aan "die tafel van Jehovah"*^d en aan die tafel van demone eet nie. **22** Of 'maak ons Jehovah* jaloers'?^e Ons is tog nie sterker as hy nie, of hoe?

23 Alles is toelaatbaar,* maar nie alles is voordelig nie. Alles is toelaatbaar, maar nie alles bou op nie.^f **24** Laat elkeen nie sy eie voordeel bly soek nie, maar dié van die ander persoon.^g

25 Eet alles wat by 'n vleisemark verkoop word, sonder om navraag te doen as gevolg van julle gewete, **26** want "aan Jehovah* behoort die aarde en alles daarop",^h **27** As 'n ongelowige julle nooi en julle wil gaan, eet dan alles wat vir julle bedien word, sonder om as gevolg van julle gewete navraag te doen. **28** Maar as iemand vir julle sê: "Dit is iets wat geoffer is," moet julle dit nie eet nie, as gevolg van die een wat dit vir julle gesê het en as gevolg van die gewete.ⁱ **29** Ek praat nie van julle eie gewete nie, maar van die ander persoon se gewete. Want hoekom moet my vryheid deur 'n ander persoon se gewete geoordeel word? **30** Hoekom sou ek iets eet en God daarvoor bedank as ek dan ge-

10:21, 22, 26 *Sien Aanh. A5. 10:23 *Of "my geoorloof".

HFST. 10

a Le 7:15

b De 32:17

c Jud 6

d Ese 41:22
Mal 1:12e Eks 34:14
De 32:21f Ro 14:19
Ro 15:2g 1Kor 10:32, 33
1Kor 13:4, 5
Flp 2:4h Ps 24:1
1Ti 4:4

i 1Kor 8:7, 10

j Ro 14:15, 16
1Kor 8:12

Tweede kol.

a Ro 14:6
1Ti 4:3b Mt 5:16
Kol 3:17c Ro 14:13
1Kor 8:13
2Kor 6:3d Ro 15:2
Flp 2:4

e 1Kor 9:22

HFST. 11

f Flp 3:17
2Te 3:9g Ro 14:9
Ef 4:15
Kol 2:10h Ef 5:23
1Pe 3:1

i 1Kor 15:27, 28

j Jl 2:28
Han 21:8, 9

k Ge 1:27

l Ge 2:22, 23

m Ge 2:18

n 1Kor 4:9

kritiseer sou word vir iets waarvoor ek God bedank het?^a

31 Of julle dan nou eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God.^b **32** Sorg dat julle nie vir Jode of vir Grieke of vir die gemeente van God struikelblokke word nie.^c **33** Ek probeer ook om alle mense in alle dinge in ag te neem. Ek soek nie my eie voordeel nie,^d maar dié van die meerderheid, sodat hulle gered kan word.^e

11 Word navolgers van my, net soos ek van Christus is.^f

2 Ek prys julle, want in alles dink julle aan my, en julle bly by die tradisies wat ek aan julle geleer het. **3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat die Christus die hoof van elke man is,^g die man die hoof van die vrou^h is en God die hoof van die Christus is.ⁱ **4** Elke man wat met iets op sy hoof bid of profeteer, bring skande oor sy hoof, **5** maar elke vrou wat met 'n onbedekte hoof bid of profeteer,^j bring skande oor haar hoof, want dan sal sy wees soos 'n vrou met 'n geskeerde hoof. **6** Want as 'n vrou nie haar hoof bedek nie, moet sy haar hare laat afsny. Maar as dit vir 'n vrou 'n skande is dat haar hare afgesny of afgeskeer word, moet sy haar hoof bedek.

7 'n Man moenie sy hoof bedek nie, want hy is God se beeld^k en bring eer aan God, maar die vrou bring eer aan die man. **8** Want die man het nie uit die vrou gekom nie, maar die vrou uit die man.^l **9** Wat meer is, die man is nie vir die vrou geskep nie, maar die vrou vir die man.^m **10** Daarom moet die vrou 'n teken van gesag op haar hoof hê as gevolg van die engelen.ⁿ

11 En onder die volgelinge van die Here bestaan die vrou nie sonder die man nie en die man ook nie sonder die vrou nie. **12** Want net soos die vrou uit die man is,^a so is die man ook deur middel van die vrou, maar alles kom van God.^b **13** Oordeel self: Is dit gepas dat 'n vrou tot God bid as haar kop nie bedek is nie? **14** Dit is nie vir 'n man natuurlik om lang hare te hê nie – dit is 'n skandale – **15** maar as 'n vrou lang hare het, bring dit vir haar eer. Want haar hare is vir haar gegee in die plek van 'n bedekking. **16** As enigiemand egter nie hiermee saamstem nie, moet julle vir hom sê dat ons geen ander gewoonte het nie, en die gemeentes van God het ook nie.

17 Maar terwyl ek hierdie instruksies gee, prys ek julle nie, want julle vergaderinge doen meer skade as goed. **18** Want in die eerste plek hoor ek dat daar verdeeldhede onder julle is wanneer julle in 'n gemeente bymekaarkom, en tot 'n mate glo ek dit. **19** Want daar sal beslis ook sektes onder julle wees,^c sodat dit duidelik kan word wie van julle deur God goedgekeur is.

20 Wanneer julle op een plek bymekaarkom, is dit nie regtig omdat julle die Here se Aandmaal^d wil eet nie. **21** Want wanneer julle dit eet, het elkeen reeds sy eie aandmaal geëet, en dan is die een honger terwyl die ander een dronk is. **22** Het julle nie huise waar julle kan eet en drink nie? Of dink julle dat die gemeente van God nie belangrik is nie, en laat julle dié wat niks het nie, skaam voel? Wat kan ek vir julle sê? Moet ek julle prys? In hierdie geval prys ek julle nie.

HFST. 11

a Ge 2:21, 22

b 1Kor 8:6

c Han 20:29, 30
1Kor 1:12
1Ti 4:1
2Pe 2:1

d Lu 22:19, 20

Tweede kol.

a Mt 26:20
Lu 22:14b Mt 26:26
Mr 14:22
Ro 7:4
1Kor 10:17

c Lu 22:19

d Mt 26:27
Mr 14:23
1Kor 10:16e Jer 31:31
Heb 8:8
Heb 9:15f Lu 22:20
Heb 9:13, 14
1Pe 1:18, 19

g Eks 12:14

h 2Kor 13:5

i 1Te 5:6

j Heb 12:5

k 2Pe 2:20
2Pe 3:7

23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgedra het, dat die Here Jesus die aand^a waarop hy verraai sou word, 'n brood geneem het, **24** en nadat hy 'n dankgebed gedoen het, het hy dit gebreek en gesê: "Dit beteken my liggaam,^b wat vir julle is. Hou aan om dit te doen as 'n herinnering aan my."^c **25** Nadat hulle die aandmaal geëet het, het hy ook dieselfde met die beker gedoen^d en gesê: "Hierdie beker beteken die nuwe verbond^e wat bevestig word deur my bloed.^f Hou aan om dit as 'n herinnering aan my te doen wanneer julle daaruit drink."^g **26** Want wanneer julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, hou julle aan om die dood van die Here te verkondig, totdat hy kom.

27 Daarom sal enigeen wat op 'n onwaardige manier die brood eet of uit die beker van die Here drink, skuldig wees omdat hy nie die liggaam en die bloed van die Here waardeer nie. **28** Laat 'n mens homself eers goed ondersoek en dan goedkeur,^h en laat hy eers daarna van die brood eet en uit die beker drink. **29** Want hy wat eet en drink sonder om te onderskei wat die liggaam beteken, eet en drink 'n oordeel oor homself. **30** Daarom is baie onder julle swak en sieklik, en 'n hele paar slaap in die dood.ⁱ **31** Maar as ons onderskei wat ons is, sal ons nie geoordeel word nie. **32** Wanneer ons egter geoordeel word, word ons deur Jehovah* gedissiplineer,^j sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie.^k **33** Daarom, my broers, wanneer julle bymekaarkom om dit

11:30 *Verwys blykbaar na geestelike dood. **11:32** *Sien Aanhangsel A5.

te eet, moet julle vir mekaar wag. **34** As iemand honger is, moet hy by die huis eet, sodat julle nie geoordeel word wanneer julle bymekaarkom nie.^a Maar die oorblywende sake sal ek regstel wanneer ek daar kom.

12 Broers, ek wil nie hê dat julle ongelig moet wees oor die geestelike gawes^b nie. **2** Julle weet dat julle beïnvloed en weggelei is toe julle nog mense van die nasies* was. Julle het daardie stom afgode^c gevog waarheen hulle julle ook al gelei het. **3** Nou wil ek hê dat julle moet weet dat niemand wat deur God se gees praat, sê: "Jesus is vervloek!" nie, en niemand kan sê: "Jesus is die Here!" nie, behalwe deur heilige gees.^d

4 Daar is verskillende gawes, maar dit kom van dieselfde gees,^e **5** en daar is verskillende bedieninge,^f en tog is dit vir dieselfde Here, **6** en daar is verskillende bedrywighede,^g en tog is dit dieselfde God wat almal in staat stel om dit te doen.^g **7** Maar die openbaring van die gees word vir 'n nuttige doel aan elkeen gegee.^h **8** Aan die een word daar woorde* van wysheid deur middel van die gees gegee, aan 'n ander woorde van kennis volgens dieselfde gees, **9** aan 'n ander geloof deur dieselfde gees, aan 'n ander gawes om te genesi deur dieselfde gees, **10** en dit help ander om kragtige werke te doen,^k ander om te profeteer, ander om te onderskei of woorde geïnspireer is,^l ander om verskillende tale te praat^m en ander om te vertaal.ⁿ **11** Maar dit is

12:2 *D.w.s. ongelowiges. 12:6 *Of "werkinge". 12:8 *Of "'n boodskap". 12:10 *Of "om tale uit te lê".

HFST. 11
a 1Kor 11:29

HFST. 12
b 1Kor 14:1

c Ps 115:5
Hab 2:18
1Kor 8:4
Ga 4:8
1Te 1:9

d 1Jo 4:2, 3

e Ef 4:4

f Ef 4:11

g 1Pe 4:11

h 1Kor 14:26

i 1Kor 13:2

j Han 3:5-8
Han 28:8, 9

k Heb 2:3, 4

l 1Jo 4:1

m Han 10:45, 46
1Kor 14:18

n 1Kor 14:26

Tweede kol.

a Ro 12:4, 5

b Ef 4:16

c Ge 3:7, 21

alles die werk van een en dieselfde gees, wat hierdie gawes aan elkeen uitdeel, net soos dit wil.

12 Die liggaam het baie liggaamsdele, maar al is daar baie liggaamsdele, vorm dit net een liggaam.^a So is dit ook met die Christus. **13** Want ons is almal deur een gees in een liggaam gedoopt, of ons nou Jode of Grieke of slawe of vry mense is, en ons moes almal een gees drink.

14 Want die liggaam bestaan beslis nie uit een liggaamsdeel nie, maar uit baie dele.^b **15** As die voet sou sê: "Ek is nie 'n hand nie, en daarom is ek nie deel van die liggaam nie," beteken dit nie dat dit nie deel van die liggaam is nie. **16** En as die oor sou sê: "Ek is nie 'n oog nie, en daarom is ek nie deel van die liggaam nie," beteken dit nie dat dit nie deel van die liggaam is nie. **17** As die hele liggaam 'n oog was, waarmee sou dit hoor? As die hele liggaam 'n oor was, waarmee sou dit ruik? **18** Maar nou het God elke liggaamsdeel geplaas net waar hy dit wou hê.

19 As hulle almal dieselfde liggaamsdeel was, waar sou die liggaam wees? **20** Maar nou is hulle verskillende liggaamsdele, en tog een liggaam. **21** Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie," en die kop kan ook nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie." **22** Om die waarheid te sê, die dele van die liggaam wat swakker lyk, is nodig. **23** En ons skenk meer aandag aan die liggaamsdele wat ons dink minder aantreklik is,^c sodat ons onaantreklike dele met meer respek behandel word, **24** terwyl ons aantreklike dele niks nodig het nie. Maar God het die liggaam

so saamgestel en groter eer gee aan die deel wat dit die nodigste het, **25** sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam sal wees nie en sodat die liggaamsdele oor mekaar besorg sal wees. **26** As een deel ly, ly al die ander dele saam,^b of as een deel verheerlik word, is al die ander dele saam bly.^c

27 Julle is dan nou Christus se liggaam,^d en elkeen van julle is 'n deel daarvan.^e **28** En God het verskillende persone in die gemeente aangestel: eerstens apostels,^f tweedens profete,^g derdens onderrigters,^h dan kragtige werke,ⁱ dan gewes om te genees,^j vermoëns om te kan help, vermoëns om die leiding te neem,^k verskillende tale.^l **29** Is almal dan apostels? Is almal profete? Is almal onderrigters? Doen almal kragtige werke? **30** Het almal gewes om te genees? Praat almal in tale?^m Is almal vertalers?ⁿ **31** Maar hou aan om hard te werk* om die groter gewes te verkry.^o En tog sal ek vir julle 'n weg wys wat ver beter is as enigiets anders.^p

13 As ek in die tale van mense en van engele praat, maar geen liefde het nie, het ek 'n klinkende metaal of simbaal geword. **2** As ek die gawe van profesie het, al die heilige geheime verstaan, alle kennis ontvang het^q en soveel geloof het dat ek berge kan verskuif, maar geen liefde het nie, is ek niks.*
3 En as ek al my besittings gee sodat ander iets kan hê om te eet^s en ek my liggaam oorgee sodat ek daarvoor kan spog, maar geen liefde het nie,^t help dit my niks.

12:30 *Of "Kan almal tale uitlê?"
12:31 *Of "Maar streef ywerig daarna".
13:2 *Of "nutteloos".

HFST. 12

- a Ro 12:10
Ga 6:2
Ef 4:25
b Heb 13:3
c Ro 12:15
d Ef 1:22, 23
e Ro 12:4, 5
f Ef 2:20
g Han 13:1
h Ef 4:11
i Ga 3:5
j Han 5:16
k Heb 13:17
l Han 2:6, 7
m 1Kor 14:4
n 1Kor 14:5
o 1Kor 14:1
p 1Kor 13:8

HFST. 13

- q 1Kor 12:8
r 1Jo 4:20
s Mt 6:2
t 2Kor 9:7

Tweede kol.

- a 1Jo 4:8
b 1Te 5:14
c Ro 13:10
Ef 4:32
d Ga 5:26
e 1Pe 5:5
f Ro 13:13
1Kor 14:40
g 1Kor 10:24
Flp 2:4
h Mt 5:39
Jak 1:19
i Ef 4:32
Kol 3:13
j Ro 12:9
k 1Pe 4:8
l Han 17:11
m Ro 8:25
Ro 12:12
n 1Te 1:3
o Spr 4:18
p Mt 22:37
Ro 13:10

4 Liefde^a is geduldig^{*b} en goedhartig.^c Liefde is nie ja-loers nie.^d Dit praat nie groot nie, word nie trots^e nie,^e **5** gedra hom nie ongepas^f nie,^f soek nie sy eie belang nie,^g raak nie gou kwaad nie.^h Dit hou nie boek van slegte dinge wat aan hom gedoen is^h nie.ⁱ **6** Dit is nie bly oor onregverdigheid nie,^j maar is bly saam met die waarheid. **7** Dit verdra alles,^k glo alles,^l hoop alles,^m verduur alles.ⁿ

8 Liefde faal* nooit nie. Maar as daar gewes van profesie is, sal hulle verwyder word. As daar tale^o is, sal hulle ophou. As daar kennis is, sal dit verdwyn. **9** Want ons het gedeeltelike kennis^o en ons profetere gedeeltelik, **10** maar wanneer dit kom wat volledig is, sal wat gedeeltelik is, verwyder word. **11** Toe ek 'n kind was, het ek soos 'n kind gepraat, soos 'n kind gedink en soos 'n kind geredeneer, maar nou dat ek 'n man geword het, het ek die eienskappe van 'n kind agtergelaat. **12** Want nou sien ons 'n onduidelike beeld in 'n metaal-spieël, maar dan sal dit van aangesig tot aangesig wees. Nou het ek gedeeltelike kennis van God, maar dan sal ek volledige kennis van hom hê, net soos hy my ten volle ken. **13** Maar nou bly hierdie drie dinge oor: geloof, hoop, liefde. Maar die grootste hiervan is liefde.^p

14 Streef liefde na, maar hou aan om hard te werk* om die geestelike gewes te verkry, maar veral om te

13:4 *Of "lankmoedig". [#] Lett. "opgeblase". **13:5** *Of "is nie onbeskof". [#] Of "van die kwaad". **13:8** *Of "vergaan". [#] D.w.s. om wonderdadig in ander tale te praat. **14:1** *Of "maar streef ywerig daarna".

profeteer.^a **2** Want die een wat in 'n taal praat, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan egter wat hy sê nie,^b al praat hy oor heilige geheime^c deur middel van die gees. **3** Maar die een wat profeteer, bou mense op en moedig hulle aan en vertroos hulle deur sy woorde. **4** Die een wat in 'n taal praat, bou homself op, maar die een wat profeteer, bou 'n gemeente op. **5** Ek sou graag wou hê dat julle almal in tale moet praat,^d maar ek verkies dat julle profeteer.^e Ja, die een wat profeteer, is groter as die een wat in tale praat, tensy hy dit ook vertaal* sodat die gemeente opgebou kan word. **6** Maar as ek nou met julle in tale kom praat, broers, van watter nut sou ek dan vir julle wees as ek nie met 'n openbaring^f of met kennis^g of met 'n profesie of met 'n lering met julle praat nie?

7 Dit is dieselfde met leweloze dinge wat 'n geluid maak, soos 'n fluit of 'n harp. As dieselfde noot die hele tyd gespeel word, hoe sal 'n mens kan uitmaak watter musiek daarop gespeel word? **8** Want as die trompet 'n onduidelike geluid maak, wie sal gereedmaak vir die geveg? **9** Dit is dieselfde as julle nie met julle tong woorde gebruik wat maklik verstaan kan word nie. Hoe sal enigiemand weet wat julle sê? Julle sal in werklikheid in die lug praat. **10** Daar is baie soorte tale in die wêreld, en al daardie tale word verstaan. **11** As ek dan nie die taal verstaan nie, sal ek 'n uitlander wees vir die een wat praat, en die een wat praat, sal vir my 'n uitlander wees. **12** Aangesien julle graag die gewes van die gees

14:5 *Of "dit uitle".

HFST. 14
a 1Te 5:20

b 1Kor 14:5

c 1Kor 13:2

d 1Kor 12:30

e Jl 2:28
Han 2:17
Han 21:8, 9

f Ga 1:11, 12
Ga 2:2

g 1Kor 12:8

Tweede kol.

a 1Kor 12:7
1Kor 14:4, 26

b 1Kor 12:8, 10
1Kor 14:5

c 1Kor 14:4

d Ef 4:14

e Ro 16:19

f Heb 5:13, 14

g Jes 28:11, 12

h Han 2:4, 13

wil hê, moet julle hierdie gewes soveel as moontlik probeer gebruik om die gemeente op te bou.^a

13 Laat die een wat in 'n taal praat, dus bid dat hy kan vertaal.*^b **14** Want as ek in 'n taal bid, is dit my gewes van die gees wat bid, maar my verstand is onproduktief. **15** Wat moet dan gedoen word? Ek sal met die gewes van die gees bid, maar ek sal ook met my verstand bid. Ek sal met die gewes van die gees lofliedere sing, maar ek sal ook met my verstand lofliedere sing. **16** As jy God met 'n gewes van die gees loof, hoe kan die gewone persoon onder julle "Amen" sê op jou dankgebed, aangesien hy nie weet wat jy sê nie? **17** Jy doen nou wel 'n goeie dankgebed, maar die ander persoon word nie opgebou nie. **18** Ek dank God dat ek in meer tale as julle almal praat. **19** Maar ek sal liever vyf verstaanbare woorde in 'n gemeente sê, sodat ek ander ook kan leer,* as dat ek tienduisend woorde in 'n taal sê.^c

20 Broers, moenie jong kinders in julle denke word nie,^d maar wees jong kinders wanneer dit by slegte dinge kom,^e en word volwasse in julle denke.^f **21** In die Wet is daar geskryf: "Met die taal van uitlanders en met die woorde van vreemdelinge sal ek met hierdie volk praat, en selfs dan sal hulle weier om na my te luister," sê Jehovah."^g **22** Daarom is tale nie 'n teken vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges,^h terwyl profesie nie vir die ongelowiges is nie, maar vir die gelowiges. **23** As die hele ge-

14:13 *Of "dit kan uitle". 14:19 *Of "mondeling kan leer". 14:21 *Sien Aanh. A5.

meente dan op een plek bymeekaarkom en hulle almal in tale praat, maar daar gewone mense of ongelowiges inkom, sal hulle dan nie sê dat julle mal geword het nie? **24** Maar as julle almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n gewone persoon inkom, sal hy deur almal tereg-gewys en noukeurig ondersoek word. **25** Die geheime van sy hart sal dan bekend word, en hy sal met sy gesig na die grond toe neerval en God aanbid en sê: "God is werklik onder julle."^a

26 Wat moet dan gedoen word, broers? Wanneer julle bymekaarkom, het die een 'n psalm, 'n ander 'n lering, 'n ander 'n openbaring, 'n ander 'n taal en 'n ander 'n vertaling* daarvan.^b Doen alles sodat julle mekaar kan opbou. **27** En as mense in 'n taal praat, moet daar net twee of drie praat, nie meer as dit nie. Hulle moet beurte maak, en iemand moet vertaal.*^c **28** Maar as daar niemand is om te vertaal* nie, moet die persoon wat praat, stilbly in die gemeente en met homself en met God praat. **29** Laat twee of drie profete^d praat, en laat die ander vasstel wat dit beteken. **30** Maar as iemand anders 'n openbaring kry terwyl hy daar sit, moet die een wat eerste begin praat het, stilbly. **31** Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal aange-moedig kan word.^e **32** En die profete moet beheer hê oor die manier waarop hulle die gawes van die gees gebruik. **33** Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede.^f

Soos in al die gemeentes van die heiliges: **34** Laat die vrou-

14:26 *Of "uitlegging". **14:27** *Of "dit uitle". **14:28** *Of "dit uit te lê".

HFST. 14

a Jes 45:14
Sag 8:23

b 1Kor 12:8,10

c 1Kor 14:5

d Han 13:1

e Heb 10:24, 25

f 1Kor 14:40
Kol 2:5

Tweede kol.

a 1Ti 2:11, 12

b 1Kor 11:3
Ef 5:22
Kol 3:18
Tit 2:5
1Pe 3:1

c 1Te 5:20

d 1Kor 14:27

e 1Kor 14:33
Kol 2:5

HFST. 15

f Han 18:1, 11

g Ps 22:15
Jes 53:8, 12
Da 9:26
1Pe 2:24

h Jes 53:9
Mt 27:59, 60

i Jon 1:17
Lu 24:46

j Mt 28:7

k Ps 16:10

l Mt 10:2
Lu 24:33, 34

m Joh 20:26

1 KORINTIËRS 14:24-15:6

ens stilbly in die gemeentes, want hulle word nie toegelaat om te praat nie.^a Laat hulle eerder onderdanig wees,^b soos die Wet ook sê. **35** As hulle dan iets wil weet, moet hulle hulle mans by die huis vra, want dit is 'n skande vir 'n vrou om in die gemeente te praat.

36 Het die woord van God by julle ontstaan, of het dit net by julle uitgekom?

37 As iemand dink dat hy 'n profeet is of 'n gawe van die gees ontvang het, moet hy erken dat die dinge wat ek aan julle skryf, die Here se gebod is. **38** Maar as iemand dit nie erken nie, sal hy nie erken word nie.* **39** Daarom, my broers, span julle in* om te profeteer,^c maar moenie verbied dat daar in tale gepraat word nie.^d **40** Maar laat alles reg en ordelik* plaasvind.^e

15 Broers, ek herinner julle nou aan die goeie nuus wat ek aan julle verkondig het,^f wat julle ook aanvaar het en waarvoor julle ook julle standpunt ingeneem het. **2** Julle word ook daardeur gered as julle stewig vashou aan die goeie nuus wat ek aan julle verkondig het, tensy julle verniet gelowiges geword het.

3 Want een van die eerste dinge wat ek aan julle oorgedra het, was iets wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het, volgens die Skrif,^g **4** en dat hy begrawe is,^h ja, dat hy op die derde dagⁱ opgewek is,^j volgens die Skrif,^k **5** en dat hy aan Se'fas^{*j} verskyn het, en toe aan die Twaalf.^m **6** Daarna

14:38 *Of moontlik "as iemand onkundig is, sal hy onkundig bly". **14:39** *Of "streef ywerig daarna". **14:40** *Of "volgens reëling". **15:5** *D.w.s. Petrus.

het hy aan meer as 500 broers op dieselfde tyd verskyn.^a Die meeste van hulle lewe nou nog, maar party het al gesterf.* **7** Daarna het hy aan Jakobus^b verskyn, en toe aan al die apostels.^c **8** Maar laaste van almal het hy ook aan my verskyn^d asof aan iemand wat te vroeg gebore is.

9 Want ek is die minste van die apostels, en ek is dit nie waardig om 'n apostel genoem te word nie omdat ek die gemeente van God vervolg het.^e **10** Maar deur God se onverdiende goedheid is ek wat ek is. En sy onverdiende goedheid teenoor my was nie verniet nie, want ek het harder as hulle almal gewerk. Tog was dit nie ek nie, maar die onverdiende goedheid van God wat met my is. **11** Of dit nou ek of hulle is, dit is hoe ons preek en dit is hoe julle geglo het.

12 As daar dan verkondig word dat Christus uit die dood opgewek is,^f hoekom sê party van julle dan dat daar geen opstanding van die dooies is nie? **13** As daar geen opstanding van die dooies is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. **14** Maar as Christus nie opgewek is nie, is ons predikingswerk beslis verniet en is julle geloof ook verniet. **15** Dan word ons ook nog as valse getuies van God beskou,^g want ons het teen God getuig deur te sê dat hy die Christus opgewek het.^h Maar God sou Christus nie opgewek het as die dooies in werklikheid nie opgewek gaan word nie. **16** Want as die dooies nie opgewek gaan word nie, is Christus ook nie opgewek nie. **17** En as Christus nie opgewek is nie, beteken jul-

15:6, 18 *Lett. "gaan slaap".

HFST. 15

a Mt 28:16, 17

b Han 12:17

c Han 1:3, 6

d Han 9:3-5

e Han 8:3
Ga 1:13

f Han 4:2
Han 17:31

g Han 3:15

h Han 2:24
Han 4:10
Han 13:30, 31

Tweede kol.

a Ro 4:25
Heb 7:25

b Han 7:59
1Kor 15:14
1Pe 1:3

c Han 26:23
Kol 1:18

d Ge 3:17, 19

e Joh 11:25

f Ro 5:12

g Ro 5:17
Ro 6:23

h Op 1:5

i Mt 24:3
1Te 4:16

j Da 2:44

k Ps 110:1, 2

l Op 20:14

m Ps 8:6
Ef 1:22

n Heb 2:8

o 1Pe 3:22

p Joh 14:28

q 1Kor 3:23

r Ro 6:4

le geloof niks. Julle bly in julle sondes.^a **18** En dan het dié wat in eenheid met Christus gesterf* het, vir ewig verdwyn.^b **19** As ons net in hierdie lewe op Christus gehoop het, is ons slegter af as enigiemand anders.

20 Maar nou is Christus wel uit die dood opgewek, en hy is die eerste een wat opgewek is van dié wat gesterf het.*^c **21** Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het,^d kom die opstanding van die dooies ook deur 'n mens.^e

22 Want net soos almal in Adam sterf,^f só sal almal ook in die Christus lewend gemaak word.^g **23** Maar elkeen in die regte volgorde: Christus, die een wat eerste opgewek is,^h en daarna dié wat aan die Christus behoort gedurende sy teenwoordigheid.ⁱ **24** Dan, aan die einde, sal hy die Koninkryk aan sy God en Vader oorgee, wanneer hy alle regering en alle gesag en mag tot 'n einde gebring het.^j **25** Want hy moet as koning regeer totdat God alle vyande onder sy voete geplaas het.^k **26** En die laaste vyand, die dood, sal vernietig word.^l **27** Want God "het alles onder sy voete geplaas".^m Maar wanneer hy sê dat "alles onder sy voete geplaas is",ⁿ is dit duidelik dat dit nie die Een insluit wat alles aan hom onderwerp het nie.^o **28** Maar wanneer alles aan hom onderwerp is, sal die Seun hom ook onderwerp aan die Een wat alles aan hom onderwerp het,^p sodat God alles vir elkeen kan wees.^q

29 Anders, wat sal die persone bereik wat gedoop word met die doel om dooies te wees?^r As die dooies glad nie opgewek

15:20 *Of "die eersteling van dié wat in die dood gaan slaap het". 15:23 *Of "die eersteling". Sien Woordelys.

gaan word nie, hoekom word hulle ook met hierdie doel gedoop? **30** Hoekom is ons ook elke uur* in gevaar?^a **31** Ek kom elke dag voor die dood te staan. Broers, dit is so seker as wat ek trots is op julle in Christus Jesus, ons Here. **32** As ek, soos ander mense,* in Efe'se^b met wilde diere geveg het, wat help dit my? As die dooies nie opgewek gaan word nie, "laat ons eet en drink, want môre gaan ons sterf".^c **33** Moenie mislei word nie. Slegte assosiasie bederf goeie gewoontes.*^d **34** Kom tot julle sinne en doen wat reg is. Moenie sondig nie, want party van julle het geen kennis van God nie. Ek sê dit om julle skaam te maak.

35 Tog sal iemand vra: "Hoegaan die dooies opgewek word? Ja, met watter soort liggaam kom hulle?"^e **36** Jou onredelike mens! Wat jy saai, moet eers sterf voordat dit lewend gemaak word. **37** En wat jy saai, is nie die liggaam wat sal ontwikkel nie. Dit is maar net 'n korrel, of dit nou koring of 'n ander soort saad is, **38** maar God gee dit 'n liggaam volgens sy wil, en hy gee aan elkeen van die sade sy eie liggaam. **39** Nie alle liggames* is dieselfde nie. Die liggames* van mense, vee, voëls en visse verskil almal van mekaar. **40** En daar is hemelse liggames^f en aardse liggames,^g maar die prag van die hemelse liggames is anders as die prag van die aardse liggames. **41** Die son, die maan en die sterre het elkeen sy eie soort prag.^h Om die waarheid te sê, die prag van een ster is anders as dié van 'n ander ster.

15:30 *Of "die hele tyd". **15:32** *Of moontlik "uit 'n menslike oogpunt". **15:33** *Of "sedes". **15:39** *Lett. "vlees".

HFST. 15

a Ro 8:36
2Kor 11:23-27

b 2Kor 1:8

c Jes 22:13

d Spr 13:20
1Kor 5:6

e 1Jo 3:2

f Mt 28:3
Lu 24:4

g Heb 2:6, 7

h Ge 1:16

Tweede kol.

a Ro 2:6, 7

b Kol 3:4

c Op 20:4

d Ge 2:7

e Joh 5:26
1Ti 3:16

f Ge 2:7

g Joh 3:13

h Flp 3:20, 21

i Ge 5:3

j Ro 8:29

k 1Te 4:17

l 1Te 4:16

42 So is dit ook met die opstanding van die dooies. Die liggaam wat gesaai word, vergaan, maar die liggaam wat opgewek word, vergaan nie.^a **43** Dit word in oneer gesaai, maar dit word in prag opgewek.^b Dit word in swakheid gesaai, maar dit word in krag opgewek.^c **44** Dit word as 'n fisiese liggaam gesaai, maar dit word as 'n geestelike liggaam opgewek. As daar 'n fisiese liggaam is, is daar ook 'n geestelike liggaam. **45** So is daar geskryf: "Die eerste mens, Adam, het 'n lewend persoon* geword."^d Die laaste Adam het 'n lewegewende gees geword.^e **46** Maar wat geestelik is, is nie eerste nie. Wat fisies is, is eerste, en daarna kom wat geestelik is. **47** Die eerste mens is uit die aarde en is van stof gemaak.^f Die tweede mens is uit die hemel.^g **48** Dié wat God van stof gemaak het, is soos die eerste een wat God van stof gemaak het, en dié in die hemel is soos die een wat uit die hemel gekom het.^h **49** Ons het geword soos die een wat van stof gemaak is,ⁱ en net so sal ons ook word soos die een wat uit die hemel is.^j

50 Maar ek sê vir julle, broers, dat vlees en bloed God se Koninkryk nie kan erf nie, en dit wat kan vergaan, erf ook nie dit wat nie kan vergaan nie. **51** Kyk! Ek vertel julle 'n heilige geheim: Ons sal nie almal sterf* nie, maar ons sal almal verander word,^k **52** in 'n oomblik, in 'n oogwink, wanneer daar op die laaste trompet geblaas word. Want daar sal op die trompet geblaas word,^l en die dooies sal opgewek word met liggames wat nie kan vergaan

15:45 *Of "siel". **15:51** *Lett. "gaan slaap".

nie, en ons sal verander word. **53** Want die een wat kan vergaan, verander in een wat nie kan vergaan nie,^a en die een wat kan sterf, verander in een wat nie kan sterf nie.^b **54** Maar wanneer die een wat kan vergaan, verander in een wat nie kan vergaan nie, en die een wat kan sterf, verander in een wat nie kan sterf nie, sal die volgende woorde vervul word: "Die dood is vir ewig weggeneem."^c **55** "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou engel?"^d **56** Die engel wat die dood veroorsaak, is die sonde,^e en die Wet gee sonde sy krag.^f **57** Maar ons dank God, want hy gee ons die oorwinning deur ons Here Jesus Christus!^g

58 Daarom, my geliefde broers, wees standvastig,^h onbeweeglik, terwyl julle altyd baie het om in die werk van die Here te doen,ⁱ want julle weet dat julle werk vir die Here nie verniet is nie.^j

16 Nou wil ek die volgende vir julle sê oor die insameling vir die heiliges.^k Volg die riglyne wat ek aan die gemeentes van Gala'sië gegee het. **2** Op elke eerste dag van elke week moet elkeen van julle iets opsysit volgens wat hy kan bekostig, sodat julle niks hoef in te samel wanneer ek daar aankom nie. **3** En wanneer ek daar aankom, sal ek die manne stuur wat julle in julle briewe goedkeur^l om julle geskenk wat uit liefde gegee is, na Jerusalem te neem. **4** Maar as dit lyk asof dit vir my ook nodig is om daarheen te gaan, sal hulle saam met my gaan.

5 Ek sal egter na julle toe kom wanneer ek deur Masedonië gegaan het. Ek is van plan om deur Masedonië^m te gaan,

HFST. 15

a Ro 2:6, 7

b 2Kor 5:4

c Jes 25:8
Op 20:6

d Ho 13:14

e Ro 6:23

f Ro 3:20
Ro 7:12, 13g Joh 3:16
Han 4:12h Kol 1:23
Heb 3:14
2Pe 3:17

i Ro 12:11

j 2Kr 15:7
1Kor 3:8
Op 14:13

HFST. 16

k Han 24:17
Ro 15:26
2Kor 8:3, 4

l 2Kor 8:19

m Han 19:21
2Kor 1:15, 16

Tweede kol.

a Han 20:2

b Han 19:1

c Han 19:10, 11

d Han 16:1, 2

e Flp 2:19, 20

f Han 18:24, 25

g 1Te 5:6

h 1Kor 15:58
Flp 1:27

i Han 4:29

j Ef 6:10
Kol 1:11k 1Kor 13:4
1Pe 4:8l Flp 2:29, 30
1Te 5:12
1Ti 5:17

m 1Kor 1:16

6 en miskien sal ek by julle bly of selfs die winter saam met julle deurbring. Dan kan julle 'n ent saam met my gaan na waarheen ek ook al op pad is. **7** Ek wil julle nie net vir 'n rukkie sien terwyl ek reis nie, want ek wil graag 'n tyd lank by julle bly,^a as Jehovah* dit toelaat. **8** Maar ek gaan tot die Pinksterfees hier in Efe'se^b bly, **9** want 'n groot deur wat tot bedrywigheid lei, is vir my oopgemaak,^c maar daar is baie teenstanders.

10 As Timo'teus^d daar aankom, moet julle sorg dat hy geen rede het om bang te wees terwyl hy by julle is nie, want hy doen die werk van Jehovah,^e net soos ek. **11** Laat niemand dus op hom neersien nie. Stuur hom in vrede weg, sodat hy na my toe kan kom, want ek wag vir hom saam met die broers.

12 Ek het ons broer Apol'los^f dringend gevra om saam met die broers na julle toe te kom. Hy was nie van plan om nou te kom nie, maar hy sal kom wanneer hy die geleentheid het.

13 Bly wakker,^g staan vas in die geloof,^h wees moedig,ⁱ word sterk.^j **14** Doen alles wat julle doen met liefde.^k

15 Ek spoor julle dan nou aan, broers: Julle weet dat Ste'fanus en sy huismense die eerste dissipels* van Aga'je is en dat hulle altyd gereed is om die heiliges te bedien. **16** Mag julle ook aanhou om onderdanig te wees aan sulke mense, en aan almal wat saamwerk en wat hard werk.^l **17** Maar ek is bly dat Ste'fanus^m en Fortuna'tus en Aga'ikus hier is omdat hulle

16:7, 10 *Sien Aanh. A5. **16:13** *Of "gedra julle soos manne". **16:15** *Of "die eerstelinge".

my baie gehelp het toe julle nie hier was nie. **18** Want hulle het my opgebou, en ook vir julle.* Julle moet dus sulke manne waardeer.

19 Die gemeentes van Asië stuur vir julle groete. A'quila en Prisca saam met die gemeente wat in hulle huis is,^a stuur vir julle hartlike groete in die Here. **20** Al die broers groet

16:18 *Of "my gees en julle s'n verkwik".

HFST. 16

a Ro 16:3, 5

Fim 2

julle. Groet mekaar met 'n heilige soen.

21 Hier is my groete, Paulus s'n, wat ek met my eie hand skryf.

22 As iemand nie liefde vir die Here het nie, laat hom vervloek wees. O ons Here, kom!

23 Mag die onverdiende goedheid van die Here Jesus met julle wees. **24** Mag my liefde met julle almal wees in eenheid met Christus Jesus.

DIE TWEDE BRIEF AAN DIE

KORINTIËRS

O O R S I G

- | | |
|--|---|
| <p>1 Groete (1, 2)
Vertrouing van God in alle moeilike tye (3-11)
Paulus se reisplanne verander (12-24)</p> <p>2 Paulus wil vreugde bring (1-4)
'n Sondaar word vergewe en herstel (5-11)
Paulus in Troas en Masedonië (12, 13)
Die bediening, 'n oorwinningsoptog (14-17)
Nie smouse van God se woord nie (17)</p> <p>3 Aanbevelingsbriewe (1-3)
Bedienaars van nuwe verbond (4-6)
Groter heerlikheid van nuwe verbond (7-18)</p> <p>4 Lig van die goeie nuus (1-6)
Ongelowiges se verstande verblind (4)
Skatte in kleihouers (7-18)</p> <p>5 Trek die hemelse huis aan (1-10)
Bediening van versoening (11-21)
'n Nuwe skepping (17)
Ambassadeurs vir Christus (20)</p> | <p>6 Moenie God se goedheid misbruik nie (1, 2)
Beskrywing van Paulus se bediening (3-13)
Moenie onder ongelyke juk kom nie (14-18)</p> <p>7 Ons reinig ons van alles wat besoedel (1)
Paulus se vreugde oor Korintiërs (2-4)
Titus bring 'n goeie verslag (5-7)
Hartseer volgens God se wil lei tot berou (8-16)</p> <p>8 Insameling vir Christene in Judea (1-15)
Titus sal na Korinte gestuur word (16-24)</p> <p>9 Motivering om te gee (1-15)
God lief vir dié wat met vreugde gee (7)</p> <p>10 Paulus verdedig sy bediening (1-18)
Ons wapens is nie van hierdie wêreld nie (4, 5)</p> <p>11 Paulus en die "super-apostels" (1-15)</p> |
|--|---|

Paulus se moeilike tye as apostel (16-33)

- 12 Paulus se visioene (1-7a)
Paulus se “doring in die vlees” (7b-10)
Nie minderwaardig teenoor “super-apostels” nie (11-13)
Paulus besorg oor Korintiërs (14-21)

13 Laaste waarskuwings en aansporing (1-14)

“Hou aan om seker te maak dat julle in die geloof is” (5)
Hou aan om julle te laat reghelp en dieselfde denke te hê (11)

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur God se wil, en van ons broer Timoteus.^a Aan die gemeente van God wat in Korinte is, insluitende al die heiliges wat in die hele Aga'je^b is:

2 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

3 Mag die God en Vader van ons Here Jesus Christus,^c die Vader van groot genade^d en die God van alle vertroosting, geloof word.^e **4** Hy vertroos ons* wanneer ons deur moeilike tye gaan,^f sodat ons ander in alle soorte moeilike tye kan vertroos^g met die vertroosting wat ons van God ontvang.^h **5** Ons ly baie omdat ons volgelinge van die Christus is,ⁱ maar ons ontvang ook baie vertroosting deur middel van die Christus. **6** As ons deur moeilike tye gaan, is dit sodat julle vertroos en gered kan word. En as ons vertroos word, is dit sodat julle vertroosting kan ontvang, en dit help julle om te volhard wanneer julle ly net soos ons ook ly. **7** Ons het 'n vaste hoop in julle omdat ons weet dat julle saam met ons vertroos sal word, net soos julle saam met ons ly.^j

8 Broers, ons wil hê dat julle moet weet van die moeilike tye

1:4 *Of “moedig ons aan”.

HFST. 1

a Han 16:1, 2
Flp 2:19, 20

b 1Te 1:8

c Joh 20:17

d Eks 34:6
Ps 86:5
Mi 7:18

e Jes 51:3
Ro 15:5

f Ps 23:4
2Kor 7:6

g Ef 6:21, 22
1Te 4:18

h Ro 15:4
2Te 2:16, 17

i 1Kor 4:11-13
Kol 1:24

j Ro 8:18
2Ti 2:11, 12

Tweede kol.

a Han 20:18, 19

b 1Kor 15:32

c 2Kor 12:10

d Ps 34:7, 19
2Ti 4:18
2Pe 2:9

e Flp 1:19
Flm 22

f Han 12:5
Ro 15:30-32

g 1Kor 2:4, 5

wat ons in die provinsie Asië^a deurgemaak het. Ons was onder verskriklike druk wat ons nie met ons eie krag sou kon verduur nie, en ons het selfs gedink dat ons gaan sterf.^b **9** Om die waarheid te sê, dit het vir ons gevoel asof ons die doods-vonnis ontvang het. Dit het gebeur sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op die God^c wat die dooies opwek.

10 Uit 'n gevaar so groot soos die dood het hy ons gered en sal hy ons red, en ons vertrou ook dat hy sal aanhou om ons te red.^d **11** Julle kan ons ook help deur smeekebede vir ons te doen,^e want as baie mense vir ons bid, sal daardie gebede beantwoord word, en dan sal baie mense dankgebede doen vir die hulp wat ons ontvang het.^f

12 Want ons is trots op ons skoon gewete omdat ons ons in die wêreld en veral teenoor julle met heiligheid en goddelike opregtheid gedra het. Ons het ons nie met menslike* wysheid gedra nie,^g maar met God se onverdiende goedheid. **13** Want ons skryf in werklikheid aan julle oor niks anders as oor die dinge wat julle kan lees* en verstaan nie, en ek hoop dat julle sal aanhou om hierdie dinge ten

1:12 *Lett. “vleeslike”. 1:13 *Of moontlik “wat julle reeds goed weet”.

volle* te verstaan, **14** soos julle ook in sekere mate verstaan het dat ons vir julle 'n rede is om trots te wees, net soos julle ook vir ons in die dag van ons Here Jesus sal wees.

15 Met hierdie vertroue was ek van plan om eers na julle toe te kom, sodat julle 'n tweede keer bly kon wees.* **16** Want ek was van plan om julle op pad na Masedo'nië te besoek en om van Masedo'nië af weer na julle toe te kom sodat julle 'n ent saam met my na Jude'a kon gaan.^a **17** Wel, toe ek hierdie plan gehad het, het ek die saak nie ligtelik opgeneem nie, of hoe? Of het ek vleeslike denke oor dinge, wat veroorsaak dat ek "ja, ja" sê en daarna "nee, nee"? **18** Maar net soos God betroubaar is, is ons woorde betroubaar - wat ons vir julle sê, is nie "ja" en tog "nee" nie. **19** Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur middel van ons onder julle verkondig is, dit wil sê deur middel van my en Silva'nus* en Timo'teus,^b het nie "ja" en tog "nee" geword nie, maar "ja" het in sy geval "ja" geword. **20** Ongeag hoeveel beloftes van God daar is, hulle het "ja" geword deur middel van hom.^c Daarom sê ons ook vir God "Amen" deur middel van hom,^d en God word daardeur verheerlik. **21** Maar dit is God wat waarborg dat ons en julle aan Christus behoort, en dit is God wat ons gesalf het.^e **22** Hy het ook sy seël op ons gedruk^f en die gees in ons harte gesit as 'n waarborg* van wat gaan kom.^g

23 Ek het nog nie na Korinte gekom nie omdat ek julle wou

1:13 * Lett. "tot die einde toe". 1:15 * Of moontlik "daarby kon baat vind". 1:19 * D.w.s. Silas. 1:22 * Of "die pand; die eerste betaling".

HFST. 1

a 1Kor 16:5, 6

b Han 18:5

c Ro 15:8

d Op 3:14

e 1Jo 2:20, 27

f Ef 4:30

g Ro 8:23
2Kor 5:5
Ef 1:13, 14

Tweede kol.

a Heb 13:17
1Pe 5:2, 3

HFST. 2

b 2Kor 7:8, 9

c 1Kor 5:1

d Lu 15:23, 24

e Heb 12:12

f Ro 12:10

spaar, en ek roep God as 'n getuie hiervan. **24** Nie dat ons die meesters oor julle geloof is nie,^a maar ons is medewerkers vir julle vreugde, want julle staan vas deur julle geloof.

2 Want ek het besluit dat my volgende besoek aan julle nie weer 'n hartseer besoek sal wees nie. **2** Want as ek julle hartseer maak, wie sal my weer bly maak, behalwe die een wat deur my hartseer gemaak is? **3** Ek het geskryf wat ek gedoen het sodat ek, wanneer ek kom, nie hartseer sal word as gevolg van dié oor wie ek bly behoort te wees nie, want ek het die vertroue dat die dinge wat my bly maak, julle almal ook bly maak. **4** Want ek het aan julle geskryf met groot besorgdheid en angs in my hart en baie tranes, nie om julle hartseer te maak nie,^b maar om julle te laat weet dat ek julle baie liefhet.

5 As iemand dan nou hartseer veroorsaak het,^c het hy nie net vir my hartseer veroorsaak nie. Ek wil my nou nie te sterk uitdruk nie, maar in 'n mate het hy julle almal hartseer gemaak.

6 Die teregwyding wat deur die meerderheid gegee is, is genoeg vir so iemand. **7** Julle moet hom nou vryelik vergewe en hom vertroos,^d sodat hy nie dalk so hartseer word dat dit hom oorweldig* nie.^e

8 Daarom spoor ek julle aan om julle liefde vir hom te bevestig.^f

9 Want ek het ook aan julle geskryf om vas te stel of julle bewys sal lewer van julle gehoorsaamheid in alles. **10** As julle iemand vir enigiets vergewe, vergewe ek hulle ook. Om die waarheid te sê, alles wat ek vergewe het (as ek enigiets vergewe het), was ter wille van julle,

2:7 * Of "insluk".

en Christus was die getuie hiervan, **11** sodat Satan nie die oorhand oor ons sal kry nie,*^a want ons ken sy planne.^b

12 Toe ek in Troas^c aangekom het om die goeie nuus oor die Christus bekend te maak en daar vir my 'n deur oopgemaak is in die Here, **13** was ek baie bekommerd omdat ek nie my broer Titus^d gevind het nie. Toe het ek van hulle afskeid geneem en na Masedo'nië vertrek.^e

14 Maar ons dank God, wat ons altyd in 'n oorwinningsop-tog saam met die Christus lei en wat ons gebruik om die kennis van Christus oral soos 'n lieflike geur te versprei! **15** Want ons is vir God 'n soet geur van Christus, onder dié wat gered word en onder dié wat vernietig gaan word. **16** Vir die laaste groep is dit 'n geur wat uit die dood lei,^f en vir die eerste groep is dit 'n geur wat uit die lewe kom en na die lewe lei. En wie is bekwaam om hierdie werk te doen? **17** Ons is, want ons smous nie* met die woord van God^g soos baie mense nie, maar ons praat met alle opregtheid. Ja, ons is deur God gestuur, en ons doen hierdie werk voor God en saam met Christus.

3 Begin ons om onself weer aan te beveel? Of het ons, soos party mense, aanbevelingsbriewe nodig wat aan julle geskryf is of wat deur julle geskryf is? **2** Julle is ons brief,^h wat op ons harte geskryf is en wat deur die hele mensdom geken en gelees word. **3** Want dit is duidelik dat julle 'n brief van Christus is wat deur ons as bedienaarsⁱ geskryf is. Dit is nie met ink geskryf nie, maar met die gees van 'n lewende God. Dit

2:11 *Of "ons nie sal uitroël nie". 2:17 *Of "maak nie wins".

HFST. 2

a Lu 22:31
2Ti 2:26

b Ef 6:11, 12
1Pe 5:8

c Han 16:8

d Ga 2:3
Tit 1:4

e 2Kor 7:5

f Joh 15:19
2Kor 4:3
1Pe 2:7, 8

g 2Kor 4:2

HFST. 3

h 1Kor 9:2

i 1Kor 3:5

Tweede kol.

a Eks 31:18
Eks 34:1

b Spr 3:3
Spr 7:3

c Eks 4:12, 15
Flp 2:13

d Heb 8:6

e Ro 13:9

f Ga 3:10

g Joh 6:63

h Eks 31:18
Eks 32:16

i Eks 34:29, 30

j Han 2:1, 4

k 1Pe 4:14

l De 27:26

m Eks 34:35

n Ro 3:21, 22

o Kol 2:16, 17

p Eks 19:16
Eks 24:17

q Heb 12:22-24

r 1Pe 1:3, 4

s Eks 34:33-35

t Ro 11:7

is nie op kliptablette^a geskryf nie, maar op harte.*^b

4 Ons het hierdie soort vertroue teenoor God as gevolg van die Christus. **5** Nie dat ons vanself bekwaam is om hierdie werk te doen nie, maar God is die een wat ons bekwaam maak.^c **6** Hy is die een wat ons bekwaam maak om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees,^d nie van geskrewe wette nie,^e maar van gees, want die geskrewe Wet veroordeel tot die dood,^f maar die gees maak lewend.^g

7 Die Wet wat tot die dood lei en wat met letters op klippe gegraveer is,^h is met soveel heerlikheid gegee dat die Israeliete nie na Moses se gesig kon bly kyk nie as gevolg van die glans van sy gesig,ⁱ 'n glans wat weg-geneem sou word. **8** As die Wet met heerlikheid gegee is, sal die gees^j dan nie met selfs meer heerlikheid gegee word nie?^k **9** Want as die Wet wat tot veroordeling lei,^l heerlikheid gehad het,^m dan sal die werk wat tot regverdigheid lei, selfs nog meer heerlikheid hê!ⁿ **10** Selfs dit wat voorheen verheerlik was, het daardie heerlikheid verloor as gevolg van die heerlikheid wat nog beter is.^o **11** Want as dit wat weg-geneem sou word, met heerlikheid ingebring is,^p hoeveel groter sal die heerlikheid wees van dit wat bly!^q

12 Aangesien ons hierdie hoop het,^r praat ons met groot vrymoedigheid, **13** en ons doen nie wat Moses gedoen het toe hy 'n sluier oor sy gesig gesit het^s sodat die Israeliete nie kon kyk na wat sou gebeur met dit wat weg-geneem sou word nie. **14** Maar hulle verstande was toe.^t Want tot van-

3:3 *Lett. "op vleeslike tablette, op harte".

dag toe is dieselfde sluier nog steeds daar wanneer die ou verbond gelees word^a omdat dit net deur middel van Christus weggenem word.^b **15** Om die waarheid te sê, tot vandag toe is daar 'n sluier oor hulle hart^c elke keer wanneer die geskryfte van Moses gelees word.^d **16** Maar wanneer iemand verander sodat hy Jehovah* kan aanbid, word die sluier weggenem.^e **17** En Jehovah* is die Gees,^f en waar die gees van Jehovah* is, is daar vryheid.^g **18** Met onbedekte gesigte weerkaats ons die heerlijkheid van Jehovah* soos spieëls. Ons word verander om sy beeld en sy heerlijkheid meer en meer te weerkaats, net soos Jehovah,* die Gees,^h dit wil hê.

4 Daarom, aangesien ons hierdie bediening het deur die genade wat aan ons betoon is, gee ons nie moed op nie. **2** Maar ons het die skandeleke, agterbakse dinge agtergelaat, en ons doen nie dinge op 'n slinkse manier nie en vervals ook nie die woord van God nie.ⁱ Maar deur die waarheid openbaar te maak, beveel ons ons voor God aan by die gewetens van alle mense.^j **3** As die goeie nuus wat ons bekend maak, dan nou in werklikheid met 'n sluier bedek is, is dit bedek onder dié wat vernietig gaan word, **4** die ongelowiges. Die god van hierdie wêreld*^k het die verstande van die ongelowiges verblind^l sodat hulle nie die lig kan sien^m van die glorieryke goeie nuus oor die Christus, wat die beeld van God is nie.ⁿ **5** Want ons preek nie oor onself nie, maar oor Jesus Christus as Here, en oor onself as julle slawe ter

3:16-18 *Sien Aanh. A5. **3:18** *Of moontlik "die gees van Jehovah". **4:4** *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys.

HFST. 3

a Joh 12:40

b Ro 7:6
Ef 2:15

c Ro 11:8

d Han 15:21

e Eks 34:34

f Joh 4:24

g Jes 61:1
Ro 6:14
Ro 8:15
Ga 5:1,13h 2Kor 4:6
Ef 4:23,24
Ef 5:1

HFST. 4

i 2Kor 2:17
Ga 1:9

j 2Kor 6:3,4

k Joh 14:30
Ef 2:2
1Jo 5:19

l 2Kor 11:14

m Jes 60:2
Joh 8:12n Kol 1:15
Heb 1:3

Tweede kol.

a Ge 1:3

b 1Pe 2:9

c 2Kor 4:1

d Jes 64:8
Han 9:15
1Kor 15:47e 2Kor 12:9,10
Flp 4:13

f 1Kor 10:13

g Heb 13:5

h Op 2:10

i Flp 3:10
1Pe 4:13j Ro 8:36
1Kor 4:9
1Kor 15:31

k Ps 116:10

l 1Kor 6:14

wille van Jesus. **6** Want dit is God wat gesê het: "Laat die lig uit die duisternis skyn",^a en hy het op ons harte geskyn om dit te verlig met die glorieryke kennis van God deur Christus.^b

7 Maar ons het hierdie skat^c in kleihouers,^d sodat dit duidelik kan wees dat die krag wat bo die normale is, van God af kom en nie uit onself nie.^e **8** Ons word van alle kante af onder swaar druk geplaas, maar ons is nie so vassekeer dat ons nie kan beweeg nie. Ons weet nie altyd wat om te doen nie, maar ons is nie heeltemal sonder 'n uitweg nie.^f **9** Ons word verlaat, maar nie in die steek gelaat nie.^g Ons word neergeslaan, maar nie vernietig nie.^h **10** Ons verduur altyd in ons liggame die dodelike behandeling wat Jesus deurgemaak het,ⁱ sodat die lewe van Jesus ook in ons liggame openbaar gemaak kan word. **11** Want ons wat lewe, kom gedurig voor die dood te staan^j ter wille van Jesus, sodat die lewe van Jesus ook in ons sterflike liggame* openbaar gemaak kan word. **12** Die dood is dus in ons aan die werk, maar die lewe in julle.

13 Ons het dan nou dieselfde gees van geloof as waaroor daar geskryf is: "Ek het geloof beoefen, daarom het ek gepraat."^k En ons beoefen ook geloof, en daarom praat ons. **14** Ons weet dat die Een wat Jesus opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor hom sal bring.^l **15** Want al hierdie dinge gebeur ter wille van julle, sodat die vermeerdering van die onverdiende goedheid nog oorvloediger sal wees as gevolg van die dankgebede wat baie

4:8 *Of moontlik "ons het nie alle hoop verloor nie". **4:11** *Lett. "vlees".

meer mense doen om God te eer.^a

16 Daarom gee ons nie moed op nie, maar selfs al is die mens wat ons uiterlik is, besig om weg te teer, word die mens wat ons innerlik is, beslis van dag tot dag nuut gemaak. **17** Want die moeilike tye duur net 'n kort rukkie en is lig, maar dit lei vir ons tot 'n beloning* wat met niks vergelyk kan word nie[#] en wat vir ewig sal duur.^b **18** Ons hou nie ons oë op die dinge wat gesien word nie, maar op die dinge wat nie gesien word nie.^c Want die dinge wat gesien word, is tydelik, maar die dinge wat nie gesien word nie, is ewig.

5 Want ons weet dat as ons aardse huis, hierdie tent, afgebreek sou word,^d ons 'n gebou sal hê wat van God kom, 'n huis wat nie met hande gemaak is nie^e en wat vir ewig in die hemel bestaan. **2** Want in hierdie huis* kreun ons en begeer ons vurig om ons hemelse huis te ontvang.^{ff} **3** Dan, wanneer ons dit soos klere aantrek, sal ons nie kaal wees nie. **4** Ons wat in hierdie tent is, kreun en kry swaar. Dit is nie asof ons hierdie een wil uittrek nie, maar ons wil die ander een aantrek,^g sodat die sterflike deur die lewe ingesluk kan word.^h **5** En die een wat ons juis hiervoor voorberei het, is God,ⁱ wat die gees aan ons gegee het as 'n waarborg* van wat sal kom.^j

6 Daarom is ons altyd vol moed en weet ons dat ons nie by die Here is terwyl ons in hierdie liggaam woon nie.^k **7** want ons laat ons deur geloof lei, nie deur wat ons sien nie. **8** Maar ons is vol moed en wil

4:17 *Of "heerlikheid". #Lett. "wat van al hoe meer oortreffende gewig is". 5:2 *Of "woning". #Of "aan te trek". 5:5 *Of "n pand; die eerste betaling".

HFST. 4

a 2Ti 2:10

b Mt 5:12
Ro 8:18

c 2Kor 5:7
Heb 11:1

HFST. 5

d 2Pe 1:13, 14

e 1Kor 15:50
Flp 3:20, 21

f Ro 6:5
Ro 8:23
1Kor 15:48, 49

g 1Kor 15:43, 44
Flp 1:21

h 1Pe 1:3, 4

i Ef 2:10

j Ro 8:23
Ef 1:13, 14

k Joh 14:3

Tweede kol.

a Flp 1:23

b Op 22:12

c 2Kor 10:10

d 2Kor 11:1, 16

e Jes 53:10
Mt 20:28
1Ti 2:5, 6

f Ro 14:7, 8

g Mt 12:50

h Joh 20:17

i Ga 6:15

liewer by die Here gaan woon as om in hierdie liggaam te wees.^a

9 Daarom, of ons nou by hom woon of nie, dit is ons doel om vir hom aanvaarbaar te wees. **10** Want ons moet almal voor die regterstoel van die Christus verskyn,* sodat elkeen kan kry wat hy verdien vir die dinge wat hy gedoen het terwyl hy in hierdie liggaam was, of dit nou goed of sleg[#] is.^b

11 Omdat ons dan weet wat die vrees van die Here beteken, hou ons aan om mense te oordeel, maar God ken ons goed.* Ek hoop egter dat julle ons ook goed ken.[#] **12** Ons beveel ons nie weer by julle aan nie, maar ons gee julle 'n rede om op ons trots te wees, sodat julle 'n antwoord kan gee vir dié wat trots is op die uiterlike^c maar nie op wat in die hart is nie. **13** Want as ons van ons verstand af was,^d was dit vir God, maar as ons gesond van verstand is, is dit vir julle. **14** Want die liefde wat die Christus het, spoor ons aan, want ons het tot die gevolgtrekking gekom dat een mens vir almal gesterf het^e omdat almal reeds gesterf het. **15** Hy het vir almal gesterf sodat dié wat lewe, nie langer vir hulle self moet lewe nie,^f maar vir hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.

16 Van nou af beskou ons dus geen mens uit 'n menslike* oogpunt nie.^g Selfs al het ons Christus voorheen uit 'n menslike* oogpunt beskou, beskou ons hom nou beslis nie meer so nie.^h **17** As iemand dan in eenheid met Christus is, is hy 'n nuwe skepping.ⁱ Die ou dinge

5:10 *Of "openbaar gemaak word". #Of "veragtelik". 5:11 *Of "ons is voor God openbaar gemaak". #Of "ook dat ons aan julle gewetens openbaar gemaak is". 5:16 *Lett. "vleeslike".

het verbygegaan, en kyk! nuwe dinge het ontstaan. **18** Maar alles kom van God af, wat ons deur Christus met homself versoen het^a en ons die bediening van die versoening gegee het.^b **19** naamlik dat God deur middel van Christus 'n wêreld met homself versoen het^c en hulle oortredings nie teen hulle gehou het nie,^d en Hy het die boodskap van die versoening aan ons gegee.^e

20 Ons is dus ambassadeurs^f wat as plaasvervaarders vir Christus optree,^g asof God 'n versoek deur ons doen. As plaasvervaarders vir Christus smeek ons: "Raak met God versoen." **21** Die een wat sonde nie geken het nie,^h het vir ons 'n sonde-offer geword,ⁱ sodat ons deur middel van hom in God se oë regverdig kon word.^j

6 As sy medewerkers/ vra ons julle ook dringend om nie die onverdiende goedheid van God te aanvaar en die doel daarvan te mis nie.^k **2** Want hy sê: "In 'n tyd van aanvaarding het ek na jou geluister, en in 'n dag van redding het ek jou gehelp."^l Kyk! Nou is die tyd van aanvaarding. Kyk! Nou is die dag van redding.

3 Ons gee niemand enige rede om te struikel nie,^m sodat daar nie met ons bediening foutgevind sal word nie.ⁿ **4** Maar in elke opsig beveel ons onself as God se bedienaars^o aan: Ons het in swaar tye volhard, ons het tye van nood deurgemaak, ons het voor probleme te staan gekom.^p **5** Ons is geslaan, ons is in die tronk gegooi,^q ons het voor gewelddadige skares te staan gekom, ons het hard

5:21 *Of "het hy sonde vir ons gemaak".
6:3 *Of "Ons gee niemand enige aanstoot nie".

HFST. 5

a Ro 5:10
Ef 2:15, 16
Kol 1:19, 20

b Han 20:24

c Ro 5:6
1Jo 2:1, 2d Ro 4:25
Ro 5:18e Mt 28:19, 20
Han 13:38, 39

f Ef 6:19, 20

g Flp 3:20

h Heb 4:15
Heb 7:26

i Ro 1:16, 17

HFST. 6

j 2Kor 5:20

k Ro 2:4

l Jes 49:8

m 1Kor 9:22

n 2Kor 4:1, 2

o 2Kor 11:23

p Op 2:10

Tweede kol.

a 2Kor 11:25, 27

b Kol 3:13
1Te 5:14

c Ef 4:32

d Ro 12:9

e 1Kor 2:4, 5

f 2Kor 10:4
Ef 6:11

g 2Kor 4:10, 11

h Han 14:19
2Kor 4:8, 9i Flp 4:13
Op 2:9

j 2Kor 12:15

k 1Pe 2:17
1Jo 4:20l Eks 23:32, 33
De 7:3, 4
1Krn 11:4
1Kor 7:39

m Jak 4:4

n Ef 5:7, 8

gewerk, ons het slapelose nagte deurgemaak, ons het soms nie kos gehad nie.^a **6** Ons lei 'n rein lewe, ons het kennis van die waarheid, ons is geduldig,^b ons is goed vir ander,^c ons laat die heilige gees ons lei, ons liefde is sonder skynheiligheid.^d **7** Ons praat die waarheid, ons vertrou op God se krag,^e ons het wapens van regverdigheid^f in ons regterhand^g en in ons linkerhand.^h **8** Ons word geëer en verneder, ons word gekritiseer en geprys. Ons word beskou as bedrieërs, en tog praat ons die waarheid, **9** as mense wat onbekend is, en tog word ons herken, as mense wat besig is om te sterf,ⁱ en tog lewe ons,^g as mense wat gestraf^j word, en tog is ons nie aan die dood oorgelewer nie,^h **10** as mense wat treur, en tog is ons altyd bly, as mense wat arm is, en tog maak ons baie mense ryk, as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles.^j

11 Ons het ons monde oopgemaak om met julle te praat,* Korintiërs, en ons het ons harte wyd oopgemaak. **12** Ons het plek in ons harte om vir julle lief te wees,^j maar julle het nie plek in julle harte gemaak om vir ons lief te wees nie. **13** Ek praat met julle asof julle my kinders is: Behandel ons soos ons julle behandel en maak julle harte wyd oop.*^k

14 Moenie onder 'n ongelyke juk kom saam* met ongelowiges nie.^l Want wat het regverdigheid te doen met wetteloosheid?^m Of wat het lig in gemeen met duisternis?ⁿ **15** En watter

6:7 *Moontlik om mee aan te val.
*Moontlik om mee te verdedig. 6:9 *Of "wat verdien om te sterf". *Of "gedissiplineer". 6:11 *Of "Ons het openlik met julle gepraat". 6:13 *Of "word verruim". 6:14 *Of "verbintenisvorm".

ooreenstemming is daar tussen Christus en Be'ial?^a Of wat het 'n gelowige^h in gemeen met 'n ongelowige?^b **16** En watter ooreenkoms het God se tempel met afgode?^c Want ons is 'n tempel van 'n lewende God,^d net soos God gesê het: "Ek sal onder hulle woon^e en onder hulle wandel, en ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees."^f **17** "Gaan dus onder hulle uit en sonder julle af, sê Jehovah,* 'en hou op om te raak aan wat onrein is';"^g "en ek sal julle inneem".^h **18** "En ek sal vir julle 'n vader word,ⁱ en julle sal vir my seuns en dogters word,^j sê Jehovah* die Almagtige."

7 Aangesien ons dan hierdie beloftes het,^k geliefdes, laat ons ons reinig van alles wat liggaam* en gees besoedel^l en daarna streef om met vrees vir God volmaakte heiligheid te bereik.

2 Maak plek vir ons in julle harte.^m Ons het nie verkeerde dinge aan enigiemand gedoen nie, ons het niemand benadeel nie, ons het van niemand misbruik gemaak nie.ⁿ **3** Ek sê dit nie om julle te veroordeel nie. Want ek het al voorheen gesê dat julle in ons harte is, of ons nou lewe en of ons nou sterf. **4** Ek kan reguit met julle praat. Ek is baie trots op julle. Ek is grootliks vertroos, en ek loop oor van vreugde in al ons moeilike tye.^o

5 Ja, toe ons in Masedo'nië^p aangekom het, het ons* geen verligting gekry nie, maar daar was heeltyd druk van alle kante af - buite was daar aanvalle,

6:15 *Uit 'n Hebreeuse woord wat "nikswerd" beteken. Verwys na Satan. ^hOf "'n getroue persoon". **6:17, 18** *Sien Aanh. A5. **7:1** *Lett. "vlees". **7:5** *Lett. "ons vlees".

HFST. 6

a Mt 4:10
Op 12:7, 8

b 1Kor 10:21

c 1Kor 10:14

d 1Kor 3:16

e Eks 29:45

f Le 26:11, 12
Ese 37:27g Jes 52:11
Jer 51:45
Op 18:4h Ese 20:41
2Kor 7:1

i 2Sa 7:14

j Jes 43:6
Ho 1:10
Joh 1:12

HFST. 7

k 2Kor 6:16

l Ro 12:1
1Ti 1:5
1Ti 3:9
1Jo 3:3m Ro 12:10
2Kor 6:12, 13n Han 20:33, 34
2Kor 12:17o Flp 2:17
Flm 7

p Han 20:1

Tweede kol.

a 2Kor 1:3, 4

b 2Kor 2:4

c Ps 32:5
1Jo 1:9

d Mt 3:8

e 1Kor 5:5

binne was daar vrese. **6** Maar God, wat die terneergedruktes vertroos,^a het ons deur die teenwoordigheid van Titus vertroos, **7** en nie net deur sy teenwoordigheid nie, maar ook deur die vertroosting wat hy as gevolg van julle ontvang het. Want hy het ons vertel dat julle na my verlang en van julle groot hartseer en julle opregte besorgdheid* oor my, en dit het my nog blyer gemaak.

8 Selfs al het ek julle hartseer gemaak met my brief,^b is ek nie spyt daaroor nie. Al was ek aan die begin spyt daaroor (aangesien daardie brief julle hartseer gemaak het, al was dit net 'n klein rukkie), **9** is ek nou bly, nie net omdat julle hartseer gemaak is nie, maar omdat julle berou getoon het as gevolg van julle hartseer. Want julle is hartseer gemaak in ooreenstemming met God se wil, en julle is glad nie deur ons benadeel nie. **10** Want om hartseer te wees in ooreenstemming met God se wil, lei tot berou wat weer tot redding lei, en 'n mens sal nie spyt wees daaroor nie,^c maar die hartseer van die wêreld lei tot die dood.

11 Want kyk net hoe hard julle probeer het om te doen wat reg is omdat julle hartseer gemaak is in ooreenstemming met God se wil: Julle het julle self gesuiwer, julle was ontsteld oor die oortreding, julle het gevrees, julle het daarna verlang om berou te toon, julle was ywerig, julle het die oortreding reggestel!^d Julle het in elke opsig bewys dat julle onskuldig* is in hierdie saak. **12** Al het ek aan julle geskryf, het ek dit nie gedoen vir die een wat die onreg gedoen het nie^e en ook nie

7:7 *Lett. "julle ywer". **7:11** *Of "suiwer; kuis".

vir die een aan wie die onreg gedoen is nie, maar sodat julle voor God kon bewys dat julle ywerig is om na ons woorde te luister. **13** Daarom is ons vertroos.

Ons is nie net vertroos nie, maar ook baie bly as gevolg van Titus se vreugde, omdat julle almal hom* opgebeur het. **14** Ek het by hom oor julle gespog, en julle het my nie teleurgestel nie, maar net soos ons altyd met julle die waarheid gepraat het, het ons die waarheid gepraat toe ons by Titus oor julle gespog het. **15** En sy liefde vir julle word al hoe sterker terwyl hy dink aan julle almal se gehoorsaamheid^a en hoe julle hom met diep respek ontvang het. **16** Ek is bly dat ek in elke opsig vertrou in julle* kan hê.

8 Ons wil julle dan nou laat weet, broers, van die onverdiende goedheid van God wat aan die gemeentes van Masedonië betoon is.^b **2** Hulle het swaargekry, en dit was vir hulle 'n baie moeilike toets, maar hulle was baie vreugdevol en vrygewig, al was hulle verskriklik arm. **3** Hulle het gegee wat hulle kon,^c ja, ek verseker julle, selfs meer as wat hulle kon.^d **4** Want hulle het ons uit hulle eie bly smeek vir die voorreg om 'n bydrae te gee om die heiliges te help toe hulle dit nodig gehad het.^e **5** En hulle het nog meer gedoen as wat ons verwag het, want hulle het hulleself eers aan die Here gegee, en toe aan ons deur God se wil. **6** Daarom het ons Titus aangemoedig^f om die vrywillige bydrae wat hy onder julle begin insamel het, klaar in te samel. **7** Julle het 'n oorvloed

7:13 *Lett. "sy gees". 7:16 *Of moontlik "goeie moed as gevolg van julle".

HFST. 7

a 2Kor 2:9
Heb 13:17

HFST. 8

b Ro 15:26

c Han 11:29
2Kor 9:7

d Mr 12:43, 44

e Ro 15:25, 26
1Kor 16:1
2Kor 9:1, 2

f 2Kor 12:18

Tweede kol.

a 1Ti 6:18

b Mt 8:20
Flp 2:7

c 1Kor 7:25

d De 16:10, 17
Spr 3:27, 28

e Eks 16:18

f 2Kor 12:18

van alles – julle het geloof, julle kan goed praat, julle het kennis en ywer en ook 'n oorvloed van ons liefde vir julle. Mag julle dus ook oorvloedig aan ander gee.^a

8 Ek sê dit nie vir julle as 'n bevel nie, maar om julle bewus te maak van die gretigheid van ander en om te toets hoe opreg julle liefde is. **9** Want julle ken die onverdiende goedheid van ons Here Jesus Christus. Hy was ryk, maar hy het arm geword vir julle,^b sodat julle deur sy armoede ryk kon word.

10 En ek wil vir julle sê wat ek hiervan dink.^c Hierdie saak is tot julle voordeel, want 'n jaar gelede het julle nie net julle goeie bedoelings getoon nie, maar julle het ook met die werk begin. **11** Maak dan nou die werk klaar met dieselfde gewilligheid as waarmee julle begin het, en gee wat julle kan. **12** Want as die gewilligheid daar is, word dit met graagte aanvaar – maar volgens wat 'n mens het,^d nie volgens wat 'n mens nie het nie. **13** Want ek wil dit nie vir ander maklik maak, maar vir julle moeilik maak nie. **14** Daar moet eerder 'n gelykmaking wees. Die oorvloed wat julle op die oomblik het, moet hulle tekort aanvul, en hulle oorvloed moet ook julle tekort aanvul. So sal daar 'n gelykmaking wees. **15** Net soos daar geskryf is: "Die een met baie het nie te veel gehad nie, en die een met min het nie te min gehad nie."^e

16 En ons dank God dat Titus net so besorg oor julle is soos ons,^f **17** want hy het beslis op die aanmoediging gereageer, maar omdat hy so ywerig is, kom hy uit sy eie na julle toe. **18** Maar ons stuur saam met hom die broer wat in al die

gemeentes geprys word as gevolg van wat hy vir die goeie nuus gedoen het. **19** Nie net dit nie, maar hy is ook deur die gemeentes aangestel om saam met ons te reis terwyl ons hierdie geskenk wat uit liefde gegee is, uitdeel tot eer van die Here en as 'n bewys dat ons bereid is om te help. **20** So keer ons dat enigiemand met ons foutvind in verband met hierdie groot bydrae waarvoor ons moet sorg.^a **21** Want ons 'sien eerlik om na alles, nie net voor Jehovah* nie, maar ook voor mense'.^b

22 Wat meer is, ons stuur saam met hulle ons broer wat dikwels deur ons getoets is en wat in baie opsigte bewys het dat hy ywerig is, maar wat nou selfs yweriger is omdat hy groot vertrouwe in julle het. **23** As daar egter enige twyfel oor Titus is: Hy is my metgesel en werk saam met my om na julle belange om te sien. En as daar vrae oor ons broers is: Hulle is apostels van gemeentes en bring eer aan Christus. **24** Bewys dus julle liefde vir hulle,^c en wys die gemeentes waarom ons trots is op julle.

9 Dit is nie regtig vir my nodig om aan julle te skryf oor die bediening wat vir die heiliges^d is nie, **2** want ek weet dat julle gewillig is. Ek spog by die Masedoniërs dat julle in Aga'je nou al 'n jaar gereed is om te help, en julle ywer het die meeste van hulle aangespoor. **3** Maar ek stuur die broers om julle te help. Dan sal almal kan sien dat ons nie verniet oor julle gespog het nie en sal julle werklik gereed wees, net soos ek altyd gesê het julle sal wees. **4** Anders, as die Masedoniërs saam met my kom en sien dat julle nie

HFST. 8

a 1Kor 16:1

b Spr 3:4

1Pe 2:12

c 1Pe 1:22

1Pe 2:17

HFST. 9

d Ro 15:26

1Kor 16:1

2Kor 9:12

Tweede kol.

a Spr 11:24

Spr 19:17

Spr 22:9

Pr 11:1

Lu 6:38

b De 15:7,10

c Eks 22:29

Spr 11:25

Han 20:35

Heb 13:16

d Spr 28:27

Mal 3:10

Flp 4:18, 19

e Ps 112:9

f Ro 15:26, 27

2Kor 8:14

gereed is nie, sal ons – om nie van julle te praat nie – weens ons vertrouwe in julle verneder word. **5** Daarom het ek gedink dat dit nodig is om die broers aan te moedig om voor die tyd na julle toe te kom en om die groot geskenk wat julle belowe het, gereed te kry. Wanneer ons dan daar aankom, sal dit gereed wees as 'n geskenk wat vrywillig gegee is en nie omdat julle gedwing is om dit te gee nie.

6 Die punt is: Wie spaarsamig saai, sal ook spaarsamig oes, en wie oorfloedig saai, sal ook oorfloedig oes.^a **7** Laat elkeen gee net soos hy in sy hart besluit het, nie teësinning of omdat hy gedwing word nie,^b want God is lief vir iemand wat met vreugde gee.^c

8 Wat meer is, God kan julle 'n oorvloed van sy onverdiende goedheid gee, sodat julle altyd alles kan hê wat julle nodig het en ook 'n oorvloed kan hê van wat nodig is vir elke goeie werk.^d **9** (Net soos daar geskryf is: "Hy het wyd en syd* uitgedeel. Hy het vir die armes gegee. Sy regverdigheid duur vir ewig."^e **10** En die Een wat volop saad gee om te saai en brood gee om te eet, sal aan julle saad gee om te saai en sal dit vir julle vermeerder en sal die oes van julle regverdigheid laat toeneem.) **11** Julle word in elke opsig geseën sodat julle op allerhande maniere vrygewig kan wees, en deur ons vrygewigheid word mense beweeg om God te dank, **12** want deur hierdie openbare diens te doen, word daar nie net goed in die behoeftes van die heiliges voorsien nie,^f maar dit lei ook daartoe dat baie mense God kan bedank. **13** Hulle eer God omdat hierdie hulp wat gegee word,

bewys dat julle gehoorsaam is aan die goeie nuus oor die Christus, wat julle in die openbaar bekend gemaak het en omdat julle vrygewig is in julle bydrae aan hulle en aan almal.^a **14** En hulle doen smeekgebede vir julle en is lief vir julle as gevolg van die groot onverdiende goedheid wat God aan julle betoon het.

15 Ons dank God vir sy onbeskryflike vrye gawe.

10 Maar ek, Paulus, wil julle deur die sagmoedigheid en goedheid van die Christus^b vra om die dinge te doen wat ek vir julle sê, al word ek as swak beskou wanneer ek by julle is,^c maar kragtig wanneer ek nie by julle is nie.^d **2** Ek hoop dat ek, wanneer ek daar aankom, nie so streng hoef te wees as wat ek verwag in my optrede teen dié wat dink dat ons deur vleeslike denke gelei word nie. **3** Want al is ons net vlees, voer ons nie oorlog op 'n vleeslike manier nie. **4** Want die wapens wat ons in ons oorlog gebruik, is nie vleeslik nie,^e maar is kragtig deur God^f om dinge wat soos sterk vestings is, af te breek. **5** Want ons breek redenasies en elke hoë ding af wat teen die kennis van God opgerig is,^g en ons neem elke gedagte gevange om dit aan die Christus gehoorsaam te maak, **6** en ons is gereed om elke ongehoorsaamheid te straf,^h sodra julle getoon het dat julle heeltemal gehoorsaam is.

7 Julle kyk na dinge volgens hulle uiterlike. As iemand daarvan oortuig is dat hy aan Christus behoort, moet hy weer hieroor nadink: Net soos hy aan Christus behoort, behoort ons ook aan Christus. **8** Want selfs al sou ek 'n bietjie te veel spog oor die gesag wat die Here ons

HFST. 9

a Mt 5:16
Heb 13:16
Jak 1:27
1Jo 3:17

HFST. 10

b Mt 11:29, 30

c 1Kor 2:3

d 2Kor 10:10

e Mt 26:52
1Ti 1:18, 19

f 2Kor 6:4, 7

g 1Kor 1:19, 20
1Kor 3:19, 20
2Ti 2:24, 25

h 1Ti 1:20

Tweede kol.

a Heb 13:17

b 2Kor 13:2

c 2Kor 5:12

d Spr 26:12
Ga 6:3

e Han 9:15
Ga 2:8

f 1Kor 3:10
1Kor 4:15

g Jer 9:24
1Kor 1:31

h Lu 18:10-14

gegee het om julle op te bou en julle nie af te breek nie,^a sou ek my nie hoef te skaam nie. **9** Want ek wil nie hê dit moet lyk asof ek julle deur my briewe probeer bang maak nie. **10** Want hulle sê: "Sy briewe is gewigtig en kragtig, maar sy teenwoordigheid is swak en sy woorde is nutteloos." **11** Laat so iemand die volgende in gedagte hou: Die dinge wat ons in ons briewe sê wanneer ons nie daar is nie, sal ons ook doen wanneer ons daar is.^b **12** Want ons waag dit nie om onself te tel onder party wat hulleself aanbeveel nie,^c en ons vergelyk ons ook nie met hulle nie. Maar wanneer hulle hulle aan hulleself meet en met hulleself vergelyk, verstaan hulle niks.^d

13 Maar ons sal nie spog buite die grense van wat aan ons toegewys is nie, maar binne die grense van die gebied wat God aan ons toegewys* het en wat julle ook insluit.^e **14** Om die waarheid te sê, ons het nie buite ons grense gegaan toe ons na julle toe gekom het nie, want ons was die eerstes wat julle met die goeie nuus oor die Christus bereik het.^f **15** Nee, ons spog nie buite ons grense oor die werk van iemand anders nie, maar ons hoop dat die werk wat ons in ons gebied doen het, sal groei terwyl julle geloof bly groei. Dan sal ons nog meer doen **16** om die goeie nuus bekend te maak aan die lande wat verder weg is as julle, sodat ons nie spog oor wat reeds in iemand anders se gebied gedoen is nie. **17** "Maar laat die een wat spog, oor Jehovah* spog."^g **18** Want dit is nie die een wat homself aanbeveel wat goedgekeur is nie,^h maar

10:13 *Of "uitgemeet". 10:17 *Sien Aanh. A5.

die een wat deur Jehovah* aanbeveel word.^a

11 Ek wens dat julle my sal verdra, al lyk dit asof ek onredelik is. Maar julle doen dit in elk geval! **2** Ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloesie,* want ek het julle persoonlik aan een man in die huwelik belowe om julle as 'n rein^a maagd voor die Christus te stel.^b **3** Maar ek is bang dat, soos die slang Eva deur sy slinksheid verlei het,^c julle denke op die een of ander manier sleg sal word en dat julle die opregtheid en die reinheid* sal verloor wat die Christus verdien.^d **4** Want as iemand kom en oor 'n ander Jesus preek as die een oor wie ons preek, of julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of na ander goeie nuus luister as wat julle aanvaar het,^e dan verdra julle hom sommer maklik. **5** Want ek dink nie dat ek enigiens minderwaardig is teenoor julle "super-apostels" nie.^f **6** Maar selfs al is ek nie 'n goeie spreker nie,^g het ek beslis kennis. Ons het dit op elke manier en in alles aan julle duidelik gemaak.

7 Of het ek gesondig deur myself te verneder sodat julle verhoog kon word omdat ek die goeie nuus van God met vreugde kosteloos aan julle bekend gemaak het?^h **8** Ek het ander gemeentes benadeel* deur dinge te aanvaar om my te onderhou sodat ek julle kon dien.ⁱ **9** En tog, toe ek by julle was en 'n te kort gehad het, het ek vir niemand 'n las geword nie, want die broers wat van Masedo'nië gekom het, het my selfs meer geges as wat ek nodig gehad het.^j

10:18 *Sien Aanh. A5. 11:2 *Lett. "God se ywer". #Lett. "kuis". 11:3 *Lett. "kuisheid". 11:8 *Lett. "berooft".

HFST. 10

a 1Kor 4:5
2Ti 2:15

HFST. 11

b Mr 2:19
Ef 5:23
Op 21:2, 9

c Ge 3:4, 5
Joh 8:44

d 1Ti 6:3-5
Heb 13:9
2Pe 3:17

e Ga 1:7, 8

f 2Kor 11:23

g 2Kor 10:10

h Han 18:3
1Kor 9:18

i Flp 4:10

j Flp 4:15, 16

Tweede kol.

a 1Te 2:9

b 1Kor 9:14, 15

c 1Kor 9:11, 12

d Ro 16:17, 18
2Pe 2:1

e Ga 1:8
2Te 2:9

f Mt 16:27
Flp 3:18, 19
2Ti 4:14

Ja, in elke opsig het ek seker gemaak dat ek nie 'n las vir julle word nie, en ek sal aanhou om dit te doen.^a **10** So seker as wat die waarheid van Christus in my is, ek sal nie ophou om in die gebiede van Aga'je te spog nie.^b **11** Hoekom? Is dit omdat ek julle nie liefhet nie? God weet dat ek julle liefhet.

12 Maar wat ek doen, sal ek aanhou doen,^c sodat diegene wat wil bewys dat hulle aan ons gelyk is en wat spog oor wat hulle gedoen het,* nie 'n rede^a kan hê om dit te doen nie. **13** Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike werkers wat voorgesê dat hulle apostels van Christus is.^d **14** En geen wonder nie, want Satan self bly voorgee dat hy 'n engel van lig is.^e **15** Dit is dus niks besonders as sy bedienaars ook aanhou om voor te gee dat hulle bedienaars van regverdigheid is nie. Maar hulle einde sal wees volgens wat hulle vir hulle daade verdien.^f

16 Ek sê weer: Laat niemand dink dat ek onredelik is nie. Maar selfs al dink julle so, aanvaar my dan as 'n onredelike persoon sodat ek ook 'n bietjie kan spog. **17** Wat ek nou sê, is nie volgens die Here se voorbeeld nie, maar ek praat soos 'n onredelike mens wat spog en vol selfvertroue is. **18** Aangesien baie mense oor dinge van hierdie wêreld* spog, sal ek ook spog. **19** Omdat julle so "redelik" is, verdra julle die onredelikes maklik. **20** Julle verdra elkeen wat slawe van julle maak, elkeen wat julle uitbuit, elkeen wat gryp wat julle het, elkeen wat op julle neerkyk en elkeen wat julle in die gesig slaan.

11:12 *Of "hulle amp". #Of "voorswendsel". 11:18 *Lett. "die vlees".

21 Ons is skaam om dit te sê, want dit lyk dalk asof ons in swakheid opgetree het.

Maar as ander dit waag om te spog, spog ek ook. (Ek praat soos 'n onredelike mens.) **22** Is hulle Hebreërs? Ek ook.^a Is hulle Israëliete? Ek ook. Is hulle Abraham se nageslag?^b Ek ook.^b **23** Is hulle bedienaars van Christus? Ek klink soos 'n man wat mal is, maar ek is dit nog meer: Ek het meer werk as hulle gedoen,^c ek is meer kere in die tronk gegooi,^d ek is meer kere geslaan, en ek was dikwels amper dood.^e **24** Vyf keer het die Jode my 39* houe gegee,^f **25** drie keer is ek met stokke geslaan,^g een keer is ek met klippe gegooi,^h drie keer het ek skipbreuk gely,ⁱ 'n nag en 'n dag was ek in die oop see. **26** Ek was dikwels op reis en in gevaar. Daar was gevare van riviere, van rowers, van my eie volk,^j van die nasies,^k in die stad,^l in die wildernis, op see en onder valse broers. **27** Ek het hard gewerk en swaar gekry, dikwels sonder slaap,^m honger en dors,ⁿ dikwels sonder kos,^o koud en sonder ge-noeg klere.*

28 Behalwe hierdie dinge wat van buite gekom het, was ek van dag tot dag onder druk omdat ek besorg was oor al die gemeentes.^p **29** As iemand swak is, is ek nie swak nie? As iemand struikel, word ek nie woedend nie?

30 As ek moet spog, sal ek spog oor die dinge wat wys dat ek swak is. **31** Die God en Vader van die Here Jesus, die Een wat vir ewig geloof moet word, weet dat ek nie lieg nie. **32** In Damaskus het die goewerneur wat onder koning Are'tas was, die stad bewaak om my gevan-

11:22 *Lett. "saad". 11:24 *Lett. "40 minus een". 11:27 *Of "kaal".

HFST. 11

a Han 22:3

b Ro 11:1
Flp 3:4, 5

c Ro 11:13
1Kor 15:10

d Han 16:23, 24

e Han 9:15, 16
2Kor 6:4, 5
1Pe 2:20, 21

f De 25:3

g Han 16:22

h Han 14:19

i Han 27:41

j Han 20:3
Han 23:10

k Han 14:5, 6

l Han 13:50

m Han 20:31

n 1Kor 4:11

o 2Kor 6:4, 5

p 2Kor 2:4
Kol 2:1

Tweede kol.

a Han 9:24, 25

HFST. 12

b Han 2:17

c Han 22:17, 18

d Ga 4:13

e Jes 40:29

ge te neem, **33** maar ek is in 'n mandjie* deur 'n venster in die stadsmuur laat sak,^a en ek het ontsnap.

12 Ek moet spog. Dit is nie voordelig nie, maar nou sal ek praat oor bonatuurlike visioene^b en openbarings van die Here.^c **2** Ek ken 'n mens in eenheid met Christus wat 14 jaar gelede na die derde hemel weggeruk is – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet. **3** Ja, ek ken so 'n mens – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet. **4** Hy is tot in die paradys weggeruk en het woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag sê nie. **5** Oor so iemand sal ek spog, maar ek sal nie oor myself spog nie, behalwe oor my swakhede. **6** Want selfs al wil ek spog, sal ek nie onredelik wees nie, want ek sal die waarheid praat. Maar ek spog nie, want dan sal julle my net eer vir die dinge wat julle my sien doen of hoor sê, **7** en nie omdat ek sulke buitengewone openbarings ontvang het nie.

Om te keer dat ek opgeblase van trots word, het ek 'n doring in die vlees gekry,^d 'n engel van Satan, om my te bly slaan, sodat ek nie te veel van myself dink nie. **8** Ek het die Here drie keer gesmeek om dit van my af weg te neem. **9** Maar hy het vir my gesê: "My onverdiende goedheid is genoeg vir jou, want in swakheid word my krag volmaak."^e Ek sal dus met die grootste vreugde oor my swakhede spog, sodat die krag van die Christus soos 'n tent oor my kan bly. **10** Daarom is ek ter wille van Christus bly oor swakhede, oor beledigings, oor tye

11:33 *Of "gevegte mandjie".

van nood, oor vervolging en moeilikhede. Want wanneer ek swak is, dan is ek sterk.^a

11 Ek het onredelik geword. Julle het my gedwing om so te word, want julle moes my eintlik aanbeveel het. Ek is nie enig-sins minderwaardig teenoor julle "super-apostels" nie, selfs al is ek niks.^b **12** Ja, julle het bewyse van my apostelskap gesien deur groot volharding,^c tekens, wonderwerke en kragtige werke.^d **13** Want hoe was julle minder bevoorreg as die res van die gemeentes, behalwe vir die feit dat ek nie vir julle 'n las geword het nie?^e Vergewe my as-blief vir hierdie onreg.

14 Kyk! Dit is die derde keer dat ek gered is om na julle toe te kom, en tog sal ek nie 'n las word nie. Ek soek nie julle besittings nie,^f maar ek soek julle, want dit is nie die kinders^g wat vir hulle ouers moet spaar nie, maar die ouers vir hulle kinders. **15** Wat my betref, ek sal met graagte alles wat ek het vir julle gee en ek sal myself heeltemal vir julle oorgee.^h As ek julle dan so liefhet, moet julle my minder liefhê? **16** Maar wat die geval ook al is, ek was nie vir julle 'n las nie.ⁱ Tog sê julle dat ek "slinks" was en julle "deur bedrog" gevang het. **17** Ek het julle tog nie uitgebuit deur middel van enigeen wat ek na julle toe gestuur het nie, of hoe? **18** Ek het Titus aangespoor, en ek het die broer saam met hom gestuur. Titus het julle tog nie uitgebuit nie, of hoe?^j Het ons nie dieselfde gees gehad nie? Het ons nie op dieselfde manier opgetree nie?

19 Het julle die hele tyd gedink dat ons ons voor julle verdedig het? Dit is voor God dat ons in eenheid met Christus praat. Maar, geliefdes, alles wat

HFST. 12

a Flp 4:13

b 2Kor 11:23

c 2Kor 6:4

d Han 14:3
Han 15:12
Ro 15:18, 19e 1Kor 9:11, 12
2Kor 11:9

f Han 20:33

g 1Kor 4:14

h 2Kor 1:6
Kol 1:24
1Te 2:8
Heb 13:17

i 2Kor 11:9

j 2Kor 8:6

Tweede kol.

HFST. 13

a De 19:15
Mt 18:16b Ro 6:4
1Pe 3:18

c 2Ti 2:11, 12

d 1Kor 6:14

e 1Kor 11:28
Ga 6:4

ons doen, is om julle op te bou. **20** Want ek is bang dat julle, wanneer ek daar aankom, nie sal wees soos ek wil hê julle moet wees nie en dat ek nie sal wees soos julle wil hê ek moet wees nie. Ek is bang dat daar eerder stryery, jaloesie, woede-uitbarstings, onenigheid, beleedigings, 'n geskinder,* trots en wanorde sal wees. **21** Ek is bang dat my God my miskien voor julle sal verneder wanneer ek weer kom en dat ek sal moet treur oor baie van dié wat voorheen gesondig het maar nie berou getoon het oor hulle skaamteloze gedrag* en die onreinheid en seksuele onsedelikeid# wat hulle beoefen het nie.

13 Dit is die derde keer dat ek na julle toe kom. "Elke saak moet deur* twee of drie getuies bevestig word."^a **2** Al is ek nie nou daar nie, is dit asof ek die tweede keer daar is. Ek waarsku dié wat voorheen gesondig het en die res vroegtydig: As ek ooit weer kom, sal ek hulle nie spaar nie, **3** aangesien julle 'n bewys soek dat Christus deur my praat. In werklikheid tree hy nie swak teenoor julle op nie, maar sterk. **4** Want hy is werklik aan die paal gehang as gevolg van swakhed, maar hy lewe deur God se krag.^b Ja, ons is saam met hom swak, maar ons sal saam met hom lewe^c deur God se krag teenoor julle.^d

5 Hou aan om seker te maak dat julle in die geloof is. Hou aan om julleself te toets.^e Of verstaan julle nie dat Jesus Christus in eenheid met julle is nie? Dit sal nie die geval wees

12:20 *Lett. "fluisteringe". 12:21

*Grieks: *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys.

#Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys.

13:1 *Of "uit die mond van".

as julle afgekeur is nie. **6** Ek hoop waarlik dat julle sal verstaan dat ons nie afgekeur is nie.

7 Ons bid dan nou tot God dat julle niks verkeerds sal doen nie. Ons doen dit nie sodat ander sal dink dat ons goedgekeur is nie, maar sodat julle kan doen wat goed is, selfs al sou dit lyk asof ons afgekeur is. **8** Want ons kan niks teen die waarheid doen nie, maar net vir die waarheid. **9** Ons is beslis bly wanneer julle sterk is, al is ons swak. En ons bid dat julle die nodige veranderinge sal maak. **10** Daarom skryf ek hierdie dinge terwyl ek nie daar is nie, sodat ek nie tydens my

Tweede kol.

HFST. 13

a 1Kor 4:21

b 2Kor 1:3, 4

c Flp 2:2

d 1Te 5:13

Jak 3:17

1Pe 3:11

2Pe 3:14

e 1Kor 14:33

besoek streng hoef op te tree volgens die gesag wat die Here my gegee het nie.^a Hy het my die gesag gegee om op te bou, nie om af te breek nie.

11 Laastens, broers, hou aan om vreugdevol te wees, om julle te laat reghelp, om julle te laat vertrous,^b om dieselfde denke te hê^c en om in vrede te lewe.^d Dan sal die God van liefde en vrede^e met julle wees.

12 Groet mekaar met 'n heilige soen. **13** Al die heiliges stuur vir julle groete.

14 Mag die onverdiende goedheid van die Here Jesus Christus en die liefde van God met julle almal wees, en mag julle almal in die heilige gees deel.

AAN DIE

GALASIËRS

O O R S I G

- 1 Groete (1-5)
Geen ander goeie nuus nie (6-9)
Goeie nuus wat Paulus verkondig, kom van God (10-12)
Paulus se bekering en vroeë bedrywighede (13-24)
- 2 Paulus vergader met apostels in Jerusalem (1-10)
Paulus help Petrus (Sefas) reg (11-14)
As regverdig beskou slegs deur geloof (15-21)
- 3 Werke van Wet teenoor geloof (1-14)
Regverdige sal deur geloof lewe (11)
Abrahamitiese belofte nie deur Wet nie (15-18)
Abraham se nageslag, Christus (16)
Oorsprong en doel van Wet (19-25)
Seuns van God deur geloof (26-29)

- Abraham se nageslag, dié wat aan Christus behoort (29)
- 4 Nie meer slawe nie, maar kinders (1-7)
Paulus besorg oor Galasiërs (8-20)
Hagar en Sara: twee verbonde (21-31)
Jerusalem daarbo, ons moeder, is vry (26)
- 5 Christelike vryheid (1-15)
Gelei deur die gees (16-26)
Werke van die vlees (19-21)
Vrug van die gees (22, 23)
- 6 Dra mekaar se laste (1-10)
Wat gesaai word, sal geoes word (7, 8)
Besnydenis beteken niks nie (11-16)
Nuwe skepping (15)
Slot (17, 18)

1 Van Paulus, 'n apostel, wat nie deur mense aangestel of gestuur is nie, maar deur Jesus Christus^a en God, die Vader,^b wat Christus uit die dood opgewek het, **2** en van al die broers by my. Aan die gemeentes van Gala'sië:

3 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus. **4** Hy het homself vir ons sondes gegee^c om ons te red van die huidige slegte wêreld.*^d Dit is die wil van ons God en Vader.^e **5** Aan hom behoort die eer vir ewig en altyd. Amen.

6 Dit verbaas my dat julle so gou wegdraai van die Een wat julle met Christus se onverdiende goedheid geroep het en dat julle 'n ander soort goeie nuus aanvaar.^f **7** Nie dat daar 'n ander goeie nuus is nie, maar daar is sommige wat julle deurmekaarmaak^g en die goeie nuus oor die Christus wil verdraai. **8** Maar selfs as ons of 'n engel uit die hemel goeie nuus aan julle bekend maak wat anders is as die goeie nuus wat ons aan julle bekend gemaak het – laat hom vervloek wees. **9** Wat ons voorheen gesê het, sê ek nou weer: Wie ook al aan julle goeie nuus bekend maak wat anders is as wat julle aanvaar het – laat hom vervloek wees.

10 Is dit in werklikheid mense wat ek nou probeer oorreed, of is dit God? Of probeer ek mense se goedkeuring kry? As ek nog steeds mense se goedkeuring probeer kry, sou ek nie Christus se slaaf wees nie. **11** Want ek wil hê julle moet weet, broers, dat die goeie nuus wat ek aan julle bekend gemaak het, nie van mense af kom nie,^h **12** want ek het dit nie van 'n

1:4 *Of "stelsel van dinge". Sien Woordelys.

HFST. 1

a Han 9:15
Han 26:15, 16

b Han 22:14, 15

c 1Jo 2:1, 2

d Joh 15:19

e 1Ti 2:3, 4

f 2Kor 11:3, 4
Ga 5:7

g Ga 5:10

h 1Te 2:13

Tweede kol.

a Han 23:6

b Han 8:3
Han 9:1, 2
Han 22:4
Han 26:9-11c Han 22:3
Flp 3:4-6

d 1Kor 15:10

e Han 9:15
Ro 11:13

f Han 9:19

g Han 9:26

h Joh 1:42
1Kor 15:5i Mt 13:55
Han 12:17

j Han 9:29, 30

mens ontvang nie, en niemand het dit aan my geleer nie, maar ek het dit deur 'n openbaring van Jesus Christus ontvang.

13 Julle het natuurlik gehoor hoe ek my vroeër gedra het toe ek nog 'n lid van die godsdiens van die Jode was,^a dat ek die gemeente van God wreed* bly vervolg en probeer uitroei het,^b **14** en ek het groter vooruitgang in die godsdiens van die Jode gemaak as baie ander van my ouderdom in my nasie, omdat ek baie swaarder vir die tradisies van my vaders was.^c **15** Maar God, wat my geboorte veroorsaak het* en my deur sy onverdiende goedheid geroep het,^d het dit goedgedink **16** om sy Seun deur my te openbaar sodat ek die goeie nuus oor Jesus Christus aan die nasies bekend sou maak.^e Toe dit gebeur het, het ek nie dadelik gegaan om by mense* raad te vra nie, **17** en ek het ook nie na Jerusalem gegaan, na dié wat apostels was voordat ek een was nie. Maar ek het na Arabië gegaan, en toe terug na Damaskus.^f

18 Toe, drie jaar later, het ek na Jerusalem gegaan^g om Sefas*^h te besoek, en ek het 15 dae by hom gebly. **19** Maar ek het nie een van die ander apostels gesien nie, net Jakobus,ⁱ die Here se broer. **20** Ek verseker julle voor God dat die dinge wat ek aan julle skryf, nie leuens is nie.

21 Daarna het ek na die gebiede van Sirië en Sili'sië gegaan.^j **22** Maar die gemeentes van Jude'a wat in eenheid met Christus was, het my nie persoonlik geken nie. **23** Hul-

1:13 *Lett. "tot die uiterste". 1:15 *Lett. "wat my van my moeder se baarmoeder afgesonder het". 1:16 *Lett. "vlees en bloed". 1:18 *D.w.s. Petrus.

le het net gehoor dat daar gesê word: “Die man wat ons vroeër vervolg het,^a maak nou die goeie nuus bekend oor die geloof wat hy vroeër probeer uitroei het.”^b **24** En as gevolg van my het hulle God begin eer.

2 Toe, ná 14 jaar, het ek weer na Jerusalem gegaan. Bar'nabas^c was saam met my, en ek het ook vir Titus saamgevat.^d **2** Ek het as gevolg van 'n openbaring daarheen gegaan, en ek het hulle vertel van die goeie nuus wat ek onder die nasies verkondig. Ek het dit gedoen tydens 'n private vergadering met die gerespekteerde broers om seker te maak dat die werk wat ek doen of gedoen het, nie verniet is nie. **3** En tog is nie eers Titus,^e wat by my was, gedwing om besny te word nie,^f al was hy 'n Griek. **4** Hierdie kwessie in verband met Titus het ontstaan as gevolg van die valse broers wat stilletjies ingeglip het^g om te spioeneer op die vryheid^h wat ons in eenheid met Christus Jesus het. Hulle wou weer slawe van ons maak.ⁱ **5** Ons het nie aan hulle toegegee nie,^j nee, nie vir 'n oomblik* nie, sodat julle standvastig in die waarheid van die goeie nuus kan bly.

6 Maar dié wat belangrik gelyk het, die gerespekteerde broers,^k het nie vir my enige nuwe raad gegee nie. Ja, wat hulle ook al voorheen was, maak by my geen verskil nie, want God kyk nie na 'n mens se uiterlike nie. **7** Hierdie manne het gesien dat die goeie nuus aan my toevertrou is vir dié wat nie besny is nie,^l net soos dit aan Petrus toevertrou is vir dié wat besny is. **8** Want God, wat Petrus die krag gegee het vir 'n apostelskap onder dié wat be-

2:5 *Lett. “uur”.

HFST. 1

a Ga 1:13

b Han 8:3

HFST. 2

c Han 9:27

d Han 15:1, 2

e 2Kor 2:13

f Han 16:3

g Han 15:1, 24

h 2Kor 3:17
Ga 5:1

i Ga 4:9

j Ga 2:14

k Ga 2:9

l Han 22:21
Ro 11:13
1Ti 2:7

Tweede kol.

a Han 9:15

b Ef 3:8

c Han 15:13

d Han 13:2
Han 15:25

e Han 11:29, 30
1Kor 16:1

f Joh 1:42

g Han 11:25, 26
Han 15:35

h Han 12:17

i Han 10:26, 28
Han 11:2, 3

j Han 21:20, 21

k Han 10:34, 35

l Han 15:10
Han 15:28, 29

m Ro 1:17
Jak 2:23

n Han 13:39
Ro 5:17
1Kor 6:11

sny is, het my ook die krag gegee om daardie werk te doen vir dié wat uit die nasies is.^a **9** En toe hulle besef dat onverdien-de goedheid aan my gegee is,^b het Jakobus^c en Sefas* en Johannes, dié wat as pilare beskou is, my en Bar'nabas^d die regterhand gegee. Dit was 'n teken dat ons ooreengekom het dat hulle sou gaan na dié wat besny is, en ons na die nasies. **10** Al wat hulle gevra het, was dat ons aan die armes dink, en dit is wat ek ook regtig probeer doen het.^e

11 Maar toe Sefas*^f na Antio'gië^g gekom het, het ek hom gekonfronteer, want dit was duidelik dat hy verkeerd opgetree het.^h **12** Want voordat sekere manne van Jakobus^h daar aangekom het, het hy altyd saam met mense van die nasies geëet.ⁱ Maar toe hulle daar aankom, het hy opgehou om dit te doen en hom onttrek omdat hy bang was vir dié wat besny is.^j **13** Die res van die Jode was net so skynheilig soos hy, en selfs Bar'nabas is deur hulle beïnvloed. **14** Maar toe ek sien dat hulle hulle nie volgens die waarheid van die goeie nuus gedra nie,^k het ek voor hulle almal vir Sefas* gesê: “Jy is 'n Jood, maar jy lewe soos die nasies en nie soos die Jode nie. Hoe kan jy dan mense van die nasies dwing om volgens Joodse gebruike te lewe?”^l

15 Ons is van geboorte af Jode, en nie sondaars uit die nasies nie. **16** Ons weet dat 'n mens nie deur werke van die wet regverdig verklaar word nie, maar net deur geloof^m in Jesus Christus.ⁿ Daarom het ons ons geloof in Christus Jesus gestel, sodat ons deur geloof in Christus regverdig verklaar

2:9, 11, 14 *D.w.s. Petrus. 2:11 #Of “veroordeeld gestaan het”.

kan word en nie deur werke van die wet nie, want niemand* sal deur werke van die wet regverdig verklaar word nie.^a

17 Maar as ons ook as sondaars beskou word terwyl ons probeer om deur middel van Christus regverdig verklaar te word, is Christus dan 'n dienaar van sonde? Beslis nie! **18** As ek die einste dinge wat ek afgebreek het, weer opbou, toon ek dat ek 'n oortreder is. **19** Want deur die wet het ek gesterf ten opsigte van die wet,^b sodat ek ten opsigte van God lewend kon word.

20 Ek is saam met Christus aan die paal gehang.^c Dit is nie meer ek wat lewe nie,^d maar Christus wat in eenheid met my lewe. Ja, ek lewe my huidige lewe in die vlees deur geloof in die Seun van God,^e wat my liefgehad het en homself vir my oorgegee het.^f **21** Ek verwerp nie die onverdiende goedheid van God nie,^g want as regverdigheid deur die wet verkry word, het Christus in werklikheid verniet gesterf.^h

3 O onverstandige Galasiërs! Wie het julle onder hierdie slegte invloed gebring? Is Jesus Christus nie duidelik aan julle beskryf as iemand wat aan 'n paal gehang is nie?ⁱ **2** Ek wil julle hierdie een ding vra: Het julle die gees deur werke van die wet ontvang of deur geloof in wat julle gehoor het?^k

3 Is julle so onverstandig? Julle is voorheen deur die heilige gees gelei,^{*} maar word julle nou deur vleeslike denke gelei?[#]

4 Het julle verniet so baie gely? Dit kon nie verniet gewees het nie. **5** Het die een wat aan julle die gees gee en kragtige werke onder julle doen,^m dit gedoen as

2:16 *Lett. "geen vlees". 3:3 *Lett. "Julle het voorheen in gees begin". #Lett. "in die vlees voltooi".

HFST. 2

a Ro 3:20-22

b Ro 7:9

c Ro 6:6
Ga 5:24

d 1Pe 4:1, 2

e 2Kor 5:15

f 1Ti 2:5, 6

g Joh 1:17

h Ga 3:21
Heb 7:11

HFST. 3

i Ga 5:7

j 1Kor 1:23

k Ef 1:13

l Ga 4:9, 10

m 1Kor 12:8-10

Tweede kol.

a Ge 15:6
Ro 4:3
Jak 2:23

b Ro 4:11, 12

c Ge 12:3
Ge 18:18

d Ro 4:16, 17

e De 27:26
Han 15:10
Jak 2:10

f Ga 2:15, 16

g Hab 2:4
Ro 1:17
Heb 10:38

h Le 18:5
De 30:16
Ro 10:5

i 1Kor 7:23

j Mt 26:27, 28
Heb 9:15

k De 21:23
Han 5:30

l Ef 2:15, 16

m Jl 2:28

gevolg van julle werke van die wet of omdat julle geloof het in wat julle gehoor het? **6** Dit was ook so met Abraham – hy het 'geloof in Jehovah* gestel, en hy is as regverdig beskou'.^a

7 Julle weet tog dat dit dié met geloof is wat kinders van Abraham is.^b **8** En God het vroeër deur die Skrif gesê dat mense van die nasies deur geloof regverdig verklaar sal word, en daarom het hy vooraf die goeie nuus aan Abraham bekend gemaak en gesê: "Deur middel van jou sal al die nasies geseën word."^c **9** Dié wat geloof het, word dus geseën saam met Abraham, wat geloof gehad het.^d

10 Almal wat op werke van die Wet staatmaak, is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie gehoorsaam bly aan al die dinge wat in die boekrol van die Wet geskryf is nie."^e **11** En dit is duidelik dat niemand op grond van die wet deur God^f regverdig verklaar word nie, want "die regverdige sal deur geloof lewe".^g **12** Die Wet is egter nie op geloof gebaseer nie. Maar "enigiemand wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe".^h

13 Christus het ons gekoopⁱ en ons bevry^j van die vloek van die Wet deur in ons plek 'n vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n paal gehang is."^k **14** Dit was sodat die seën wat aan Abraham belowe is, deur middel van Christus Jesus^l aan die nasies gegee sou word, sodat ons die beloofde gees^m deur ons geloof kon ontvang.

15 Broers, ek gebruik 'n voorbeeld uit die daaglikse lewe: Nadat 'n verbond bekragtig

3:6 *Sien Aanh. A5.

is, selfs al is dit net deur 'n mens, sal niemand dit ongeldig verklaar of enigiets daarby voeg nie. **16** Die beloftes is aan Abraham en aan sy nageslag* gemaak.^a Dit sê nie "aan jou nakomelinge",[#] wat na baie verwyys nie. Dit sê eerder "aan jou nageslag",* wat na een verwys, en dit is Christus.^b **17** Verder sê ek dit: Die Wet, wat 430 jaar later gekom het,^c maak nie die verbond ongeldig wat voorheen deur God gemaak is nie, en dit maak nie die belofte tot niet nie. **18** Want as die erfenis op die wet gebaseer is, is dit nie meer op 'n belofte gebaseer nie, maar God het dit uit sy goedheid deur 'n belofte aan Abraham gegee.^d

19 Hoekom is die Wet dan gegee? Dit is bygevoeg om oortredings openbaar te maak,^e totdat die nageslag* sou kom^f aan wie die belofte gemaak is, en engele het dit deur 'n middelaar^g oorgedra.^h **20** Daar is egter nie 'n middelaar wanneer daar net een persoon betrokke is nie, maar God is net een. **21** Is die Wet dan teen die beloftes van God? Beslis nie! Want as 'n wet gegee was wat die lewe kon gee, sou ons beslis as regverdig beskou word as gevolg van gehoorsaamheid aan daardie wet. **22** Maar die Skrif het almal as gevangenes aan sonde oor geleer, sodat die belofte wat gebaseer is op geloof in Jesus Christus, gegee kon word aan dié wat geloof beoefen.

23 Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet bewaak, aangesien ons saam as gevangenes oor geleer is, en ons het gewag op die geloof wat geopenbaar sou word.ⁱ **24** Die Wet het dus ons oppasser* geword wat na Christus gelei het,^j

3:16, 19, 29 *Lett. "saad". 3:16 #Lett. "sade". 3:24, 25 *Of "tugmeester".

HFST. 3

- a Ge 12:1-3
- Ge 12:7
- Ge 13:14, 15
- Ge 17:7
- Ge 22:17, 18
- Ge 24:7
- b Mt 1:17
- c Eks 12:40, 41
- d Ge 22:17
- e Ro 3:20
- f Joh 1:29
- Ro 10:4
- g Eks 20:19
- De 5:5
- Joh 1:17
- h Han 7:38, 53
- Heb 2:2
- i Ro 10:4
- j Mt 5:17

Tweede kol.

- a Han 13:39
- Ro 5:1
- Ro 8:33
- b Kol 2:17
- c Heb 8:6
- d Ro 8:14
- e Joh 1:12
- f Ro 13:14
- Ef 4:24
- g Ro 10:12
- h 1Kor 12:13
- Kol 3:10, 11
- i Han 2:17
- 1Pe 3:7
- j Joh 17:20, 21
- k Ro 9:7, 8
- l Ro 8:17
- m Ge 22:18

HFST. 4

- n Kol 2:8
- Kol 2:20-22
- o Joh 1:14
- Heb 2:14
- p Mt 5:17
- q 1Kor 7:23
- Ga 3:13
- r Joh 1:12
- Ro 8:23
- s Joh 14:26
- t Ro 5:5
- u Ro 8:15
- v Ro 8:17
- Ga 3:29
- Ef 1:13, 14

sodat ons deur geloof regverdig verklaar kon word.^a **25** Maar noudat die geloof gekom het,^b is ons nie meer onder die toesig van 'n oppasser* nie.^c

26 Julle is in werklikheid almal kinders van God^d deur julle geloof in Christus Jesus.^e **27** Want julle almal wat in Christus gedoop is, volg Christus na.^f **28** Daar is nie Jood of Griek nie,^g daar is nie slaaf of vryman nie,^h daar is nie man of vrou nie,ⁱ want julle is almal een in eenheid met Christus Jesus.ⁱ **29** Wat meer is, as julle aan Christus behoort, is julle werklik Abraham se nageslag,^{*k} erfgename^l volgens 'n belofte.^m

4 As die erfgenaam nog 'n jong kind is, al is hy die heer van alles, is hy glad nie anders as 'n slaaf nie, of hoe? **2** Hy is onder die toesig van versorgers en bestuurders tot die dag wat sy pa vooraf vasgestel het. **3** Net so was ons ook slawe van die basiese* dinge van die wêreld toe ons kinders was.ⁿ **4** Maar toe die tyd aangebreek het, het God sy Seun gestuur, wat uit 'n vrou gebore is^o en onder die wet was,^p **5** om dié onder die wet los te koop^q sodat ons as kinders aangeneem kon word.^r

6 En omdat julle kinders is, het God die gees^s van sy Seun in ons harte geplaas,^t en dit roep uit: "Abba,* Vader!"^u **7** Daarom is julle nie meer slawe nie, maar kinders. En as julle kinders is, is julle ook erfgename deur God.^v

8 Maar toe julle God nie geken het nie, was julle slawe van dié wat nie werklik gode is nie.

3:27 *Lett. "het julle met Christus bekleed". 4:3 *Of "elementêre". 4:6 *'n Hebreeuse of Aramese woord wat "o Vader!" beteken.

9 Maar nou het julle God leer ken, of liewer, julle word deur God geken. Hoekom keer julle nou weer terug na die basiese* dinge, wat swak en waardeloos is,^a en hoekom wil julle weer slawe daarvan word?^b **10** Julle hou aan om dae en maande^c en tye en jare te vier. **11** Ek is bekommerd dat my harde werk vir julle dalk verniet was.

12 Broers, ek smeeek julle: Word soos ek, want ek was ook voorheen soos julle.^d Julle het my nie sleg behandel nie. **13** Maar julle weet dat dit as gevolg van 'n fisiese siekte was dat ek die eerste geleentheid gekry het om die goeie nuus aan julle bekend te maak. **14** En al was my fisiese toestand 'n las vir julle, het julle my nie disrespekvol behandel of gedink dat ek walglik is nie,* maar julle het my soos 'n engel van God ontvang, soos Christus Jesus. **15** Waar is die geluk wat julle gehad het? Want ek weet dat julle julle oë sou uitruk en dit vir my sou gee as dit moontlik was.^e **16** Wel, het ek dan julle vyand geword omdat ek julle die waarheid vertel? **17** Hulle doen alles in hulle vermoë om julle aan hulle kant te kry, maar nie vir 'n goeie doel nie. Hulle wil julle van my vervreem sodat julle gretig sal wees om hulle te volg. **18** Dit is natuurlik altyd 'n goeie ding as iemand julle aan hulle kant probeer kry, so lank dit vir 'n goeie doel is en nie net wanneer ek by julle is nie. **19** My kindertjies,^f as gevolg van julle erfaer ek weer geboortepyne totdat julle Christus se persoonlikheid weerspïël.* **20** Maar ek wens ek kon nou by julle wees en op 'n ander manier

4:9 *Of "elementêre". 4:14 *Of "op my gespoeg nie". 4:19 *Of "totdat Christus in julle gevorm word".

HFST. 4

a Ro 8:3
Heb 7:18, 19

b Kol 2:20-22

c Kol 2:16

d Ga 1:14

e Han 23:5
Ga 6:11f 1Kor 4:15
1Te 2:11
Flm 10

Tweede kol.

a Ge 16:15

b Ge 21:2, 3

c Ge 16:1, 2

d Ge 17:15, 16

e Eks 19:20
Eks 24:12

f Eks 19:18

g Jes 54:1

h Ro 9:8
Ga 3:29

i Ge 21:9

j Ga 5:11
2Ti 3:12

k Ge 21:10

met julle praat, want ek weet nie wat ek omtrent julle moet doen nie.

21 Sê vir my, julle wat onder die Wet wil wees: Luister julle nie na wat die Wet sê nie? **22** Daar is byvoorbeeld geskryf dat Abraham twee seuns gehad het: een by die diensmeisie^a en een by die vrou wat vry was.^b **23** Die seun van die diensmeisie is op 'n natuurlike manier* gebore,^c en die seun van die vrou wat vry was, is deur 'n belofte gebore.^d **24** Hierdie dinge kan as 'n simboliese drama verstaan word, want hierdie vrouens beteken twee verbonde. Die een verbond, wat van die berg Si'nai^e kom en geboorte gee aan kinders wat slawe is, is Hagar. **25** Hagar stel Si'nai^f voor, 'n berg in Arabië, en sy is soos die huidige Jerusalem, want sy en haar kinders is slawe. **26** Maar die Jerusalem daar bo is vry, en sy is ons moeder.

27 Want daar is geskryf: "Wees bly, onvrugbare vrou wat nie geboorte gee nie. Roep vreugdevol uit, vrou wat nie geboortepyne het nie, want die kinders van die verlate vrou is baie meer as die kinders van die vrou wat die man het."^g **28** En julle, broers, is kinders van die belofte, net soos Isak was.^h **29** Maar die een wat op 'n natuurlike manier* gebore is, het die een begin vervolg wat deur die gees gebore is,ⁱ en dit gebeur nou ook.^j **30** Maar wat sê die Skrif? "Jaag die diensmeisie en haar seun weg, want die seun van die diensmeisie sal glad nie 'n erfgenaam wees saam met die seun van die vrou wat vry is nie."^k **31** Broers, ons is dus nie kinders van 'n diensmeisie nie, maar van die vrou wat vry is.

4:23, 29 *Lett. "na die vlees".

5 Vir sulke vryheid het Christus ons vrygemaak. Staan dus vas,^a en moenie toelaat dat 'n juk weer op julle gesit word en julle slawe word nie.^b

2 Kyk! Ek, Paulus, sê vir julle dat Christus vir julle niks sal beteken as julle julle laat besny nie.^c **3** Ek herinner elke man wat besny word, dat hy onder verpligting is om die hele Wet te gehoorsaam.^d **4** Julle is van Christus geskei, julle wat probeer om deur middel van die wet regverdig verklaar te word.^e Julle het van sy onverdiende goedheid weggeval. **5** Maar ons hoop en wag gretig om deur middel van God se gees en deur geloof as regverdig beskou te word. **6** Want in eenheid met Christus Jesus maak dit nie saak of 'n mens besny of nie besny is nie,^f maar wat wel saak maak, is om geloof te hê wat deur liefde werk.

7 Julle het goed gehardloop.^g Wie het julle gekeer om aan die waarheid gehoorsaam te bly? **8** Hierdie soort redenasie kom nie van die Een wat julle roep nie. **9** 'n Bietjie suurdeeg laat al die deeg gis.^h **10** Ek is daarvan oortuig dat julle wat in eenheid met die Here is,ⁱ nie anders sal begin dink nie. Maar die een wat vir julle probleme veroorsaak,^j wie hy ook al is, sal die oordeel ontvang wat hy verdien. **11** Broers, as ek nog steeds verkondig dat mense besny moet word, hoekom word ek nog vervolgt? In daardie geval is die folterpaal* nie* meer 'n struikelblok vir mense nie. **12** Ek wens dat die manne wat julle probeer deurmekaarmaak, hulleself sal kastreer.*

5:11 *Sien Woordelys. 5:12 *Of "eunugs sal word", waardeur hulle nie meer sou kwalifiseer om te hou by die einste wet wat vir hulle so belangrik was nie.

HFST. 5

a 1Kor 16:13

Flp 4:1

b Han 15:10

c Ga 6:12

d Ro 2:25

Ga 3:10

e Ro 3:20

f 1Kor 7:19

Ga 6:15

Kol 3:10, 11

g 1Kor 9:24

Ga 3:3

h 1Kor 5:6

1Kor 15:33

2Ti 2:16-18

i Joh 17:20, 21

j Ga 1:7

k 1Kor 1:23

Tweede kol.

a 1Pe 2:16

b 1Kor 9:19

c Le 19:18

Mt 7:12

Mt 22:39

Ro 13:8, 9

Jak 2:8

d Jak 3:14

e Jak 4:1, 2

f Ro 8:5, 13

g Ro 6:12

1Pe 2:11

h Ro 7:15, 19

Ro 7:23

i 1Kor 5:9

Ef 5:3

Kol 3:5

Op 2:20

j Mr 7:21, 22

Ef 4:19

2Pe 2:2

Jud 4

k Le 19:26, 31

De 18:10, 11

l De 21:20, 21

Jes 5:11

m 1Pe 4:3

n 1Kor 6:9, 10

o Ef 5:9

13 Julle is geroep om vry te wees, broers. Moet net nie hierdie vryheid gebruik as 'n geleentheid om vleeslike begeertes te bevredig nie,^a maar dien mekaar soos slawe^b deur liefde. **14** Want die hele Wet is in een gebod vervul,* naamlik: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."^c **15** Maar pasop, want as julle aanhou om mekaar te byt en te verslind,^d sal julle mekaar heeltemal uitwis.^e

16 Maar ek sê: Hou aan om die leiding van die gees te volg,^f en julle sal geen vleeslike begeerte uitvoer nie.^g **17** Want die begeerte van die vlees is teen die gees, en die gees is teen die vlees, want hulle is vyande van mekaar. Daarom doen julle nie die dinge wat julle graag wil doen nie.^h **18** En as julle deur gees gelei word, is julle nie onder die wet nie.

19 Die werke van die vlees kan duidelik gesien word, en dit is seksuele onsedelikheid,^{ai} onreinheid, skaamteloos gedrag,^{aj} **20** afgedediens, spiritisme,^{ak} vyandigheid, stryery, jaloesie, woede-uitbarstings, onenigheid, verdeeldhede, sektes, **21** afguns, dronkenskap,^{al} wilde partytjies en soortgelyke dinge.^{am} Ek waarsku julle vooruit oor hierdie dinge, net soos ek julle reeds gewaarsku het, dat dié wat sulke dinge beoefen, God se Koninkryk nie sal erf nie.ⁿ

22 Maar die vrug van die gees is liefde, vreugde, vrede, geduld,* goedhartigheid,[#] goedheid,^{ao} geloof,

5:14 *Of moontlik "opgesom". 5:19 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. #Grieks: *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys. 5:20 *Of "toorkuns; gebruik van bedwelmende middels". 5:22 *Of "lankmoedigheid". #Of "behelpsaamheid; vriendelikheid". ^{ao}Of "sedelike goedheid; deug".

23 sagmoedigheid, selfbeheersing.^a Daar is geen wet teen sulke dinge nie. 24 Wat meer is, dié wat aan Christus Jesus behoort, het die vlees saam met sy vurige begeertes en gevoelens aan die paal gehang.^b

25 As ons deur die gees lewe, laat ons ons dan ook in ooreenstemming met die gees bly gedra.^c 26 Laat ons nie te veel van onself begin dink^d en met mekaar kompeteer^e en jaloers^f wees op mekaar nie.

6 Broers, selfs al begin iemand 'n verkeerde rigting inslaan voordat hy daarvan bewus is, moet julle wat geestelik volwasse is,* so iemand op 'n sagmoedige manier^f probeer reghelp. Maar wees versigtig^g dat julle nie ook in die versoeking kom nie.^h 2 Hou aan om mekaar se laste te dra,ⁱ en so sal julle die wet van die Christus vervul.^j 3 Want as iemand dink dat hy iets is terwyl hy niks is nie,^k bedrieg hy homself. 4 Maar laat elkeen sy eie dade ondersoek,^l en dan sal hy 'n rede hê om bly te wees oor wat hy self doen en nie omdat hy homself met ander vergelyk nie.^m 5 Want elkeen sal sy eie vrag* dra.ⁿ

6 Wat meer is, almal wat in die woord onderrig* word, moet alle goeie dinge deel met die een wat hulle onderrig.*^o

7 Moenie mislei word nie: God laat hom nie bespot nie. Want wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.^p 8 Die een wat met die oog op sy vlees saai, sal vernietiging uit sy vlees oes, maar die een wat met die oog op die gees saai, sal ewige lewe uit die

5:26 *Of "afgunstig". 6:1 *Of "wat geestelike kwalifikasies het". 6:5 *Of "vrag van verantwoordelikheid". 6:6 *Of "mondeling onderrig".

HFST. 5

a Jak 3:17

b Ro 6:6

c Ro 8:4

d Flp 2:3

e Pr 4:4

1Kor 4:7

Ga 6:4

HFST. 6

f Spr 15:1

Kol 3:12

1Ti 6:11

Tit 3:2

g 1Kor 10:12

h Jak 3:2

i 1Te 5:14

j Joh 13:34

Joh 15:12

1Jo 4:21

k Ro 12:3

l 2Kor 13:5

m Ga 5:26

n Ro 14:4

2Kor 5:10

o Mt 10:9, 10

Lu 10:7

Ro 15:27

1Kor 9:11, 14

p Ro 2:6-8

Tweede kol.

a Ro 8:6, 13

b Heb 3:14

Heb 12:3

Op 2:10

c Jak 2:10

d 1Kor 2:2

e 1Kor 7:19

Ga 5:6

Kol 3:10, 11

f 2Kor 5:17

Ef 2:10

g Ro 9:6

h 2Kor 4:10

Flp 3:10

gees oes.^a 9 Laat ons dus nie ophou om te doen wat goed is nie, want op die regte tyd sal ons oes as ons nie moeg word* nie.^b 10 Laat ons dan, solank ons die geleentheid* het, goed doen aan almal, maar veral aan ons medegelowiges.^c

11 Kyk met watter groot letters skryf ek met my eie hand aan julle.

12 Almal wat deur die uiterlike* 'n goeie indruk wil maak, probeer julle dwing om besny te word. Hulle doen dit net sodat hulle nie ter wille van die folterpaal* van die Christus vervolgsal word nie. 13 Want selfs dié wat besny word, bly nie gehoorsaam aan die Wet nie,^c maar hulle wil hê dat julle besny moet word sodat hulle 'n rede kan hê om oor julle* te spog. 14 Maar ek hoop dat ek nooit sal spog nie, behalwe oor die folterpaal* van ons Here Jesus Christus.^d Deur hom is die wêreld dood* vir my, en ek vir die wêreld. 15 Want om besny of nie besny te wees nie, beteken niks nie,^e maar om 'n nuwe skepping te wees, beteken wel iets.^f 16 En mag daar vrede en genade rus op almal wat ordelik volgens hierdie beginsel lewe, ja, op die Israel van God.^g

17 Van nou af moet niemand dit vir my moeilik maak nie, want ek het die brandmerke van 'n slaaf van Jesus aan my liggaam.^h

18 Broers, mag die onverdiende goedheid van ons Here Jesus Christus wees met die gees wat julle openbaar. Amen.

6:9 *Of "opgee". 6:10 *Lett. "vasgestelde tyd". *Of "dié wat in die geloof aan ons verwant is". 6:12 *Lett. "die vlees". 6:12, 14 *Sien Woordelys. 6:13 *Lett. "julle vlees". 6:14 *Of "aan die paal gehang".

AAN DIE EFESIËRS

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Groete (1, 2)
Geestelike seëninge (3-7)
Alles bymekaargebring in die Christus (8-14)
" 'n Administrasie" op vasgestelde tye (10)
Verseël met gees as " 'n waarborg" (13, 14)
Paulus dank God vir Efesiërs se geloof en bid vir hulle (15-23)</p> <p>2 Lewend gemaak saam met Christus (1-10)
Skeidsmuur is vernietig (11-22)</p> <p>3 Mense van die nasies ook deel van heilige geheim (1-13)
Mense van die nasies mede-erfgename saam met Christus (6)</p> | <p>God se ewige voorname (11)
Gebed dat Efesiërs insig verkry (14-21)</p> <p>4 Eenheid in die liggaam van Christus (1-16)
Gawes in die vorm van mense (8)
Ou en nuwe persoonlikheid (17-32)</p> <p>5 Rein spraak en gedrag (1-5)
Lewe as kinders van lig (6-14)
Word met gees gevul (15-20)
"Die beste gebruik van julle tyd" (16)
Raad aan mans en vrouens (21-33)</p> <p>6 Raad aan kinders en ouers (1-4)
Raad aan slawe en meesters (5-9)
Volle wapenrusting van God (10-20)
Groete (21-24)</p> |
|--|---|

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur God se wil. Aan die heiliges wat in Efese^a is en wat getrou is in eenheid met Christus Jesus:

2 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

3 Mag die God en Vader van ons Here Jesus Christus geloof word, want hy het ons geseën met elke geestelike seën in die hemelse plekke in eenheid met Christus.^b **4** Hy het ons voor die begin van die mensdom* gekies om in eenheid met hom^c te wees, sodat ons in liefde heilig en onbesmet^c voor hom moet wees. **5** Want hy het ons vooraf gekies^d om volgens sy wens

1:4 *Of "grondlegging van die wêreld".
"D.w.s. Christus.

HFST. 1

a Op 2:1, 3

b Ef 2:6

c Ef 5:25-27

d 2Te 2:13
1Pe 1:2

Tweede kol.

a Ro 8:28

b Ro 8:15, 29
Ro 8:23

c Ro 3:24

d Joh 3:35

e Han 20:28
Ro 3:25
Op 5:9

f Han 13:38
Kol 1:14
Kol 2:13

g Ro 16:25, 26

en sy wil^a deur middel van Jesus Christus as sy eie kinders^b aangeneem te word. **6** So sou God geloof word vir sy glorie-ryke onverdiende goedheid^c wat hy deur sy geliefde Seun aan ons gegee het.^d **7** Deur middel van hom is ons bevry deur 'n losprys, deur sy bloed.^e Ja, ons oortredings is as gevolg van God se groot onverdiende goedheid vergewe.^f

8 Hy het hierdie onverdiende goedheid oorvloedig aan ons betoon deur ons alle wysheid en begrip* te gee. **9** Hy het dit gedoen deur die heilige geheim^g van sy wil aan ons bekend te maak. Hy het besluit en dit goedgevind **10** om 'n administrasie te hê* wanneer die

1:8 *Of "verstandigheid". **1:10** *Of "om dinge te bestuur".

vasgestelde tye voltooi is, om alles bymekaar te bring in die Christus, die dinge in die hemel en die dinge op die aarde.^a Ja, in hom **11** met wie ons in eenheid is en ook as erfgename aangestel is.^b Hy het ons vooraf gekies volgens die besluit van die een wat alle dinge volgens sy wil laat plaasvind. **12** So sou God geloof en geëer word as gevolg van ons, dié wat eerste op die Christus gehoop het. **13** Maar julle het ook op hom gehoop nadat julle die woord van waarheid, die goeie nuus oor julle redding, gehoor het. Nadat julle begin glo het, is julle deur middel van hom met die beloofde heilige gees verseël,^c **14** wat vooraf gegee is as 'n waarborg* van ons erfenis.^d Hierdie verseëling was om God se eie besitting^e deur 'n losprys^f te bevry sodat hy geloof en geëer kan word.

15 Ek het gehoor van die geloof wat julle in die Here Jesus het en die liefde wat julle teenoor al die heiliges getoon het, en daarom het ek ook **16** nie opgehou om God te dank vir julle nie. In my gebede vir julle bly ek vra **17** dat die God van ons Here Jesus Christus, die glorieryke Vader, julle krag sal gee sodat julle wys kan wees en die dinge kan verstaan wat hy openbaar, en so sal julle akkurate kennis van hom kry.^g **18** Hy het die oë van julle harte geopen sodat julle kan weet tot watter hoop hy julle geroep het, water glorieryke rykdom hy as 'n erfenis vir die heiliges sal gee^h **19** en hoe oorfloedig sy krag teenoor ons, die gelowiges, is.ⁱ Dit kan gesien word in die manier hoe hy sy groot mag gebruik het, **20** wat hy teenoor Christus getoon het toe hy hom uit die

1:14 *Of "n pand; die eerste betaling".

HFST. 1

a Flp 2:9, 10
Kol 1:19, 20

b Ro 8:17
Ef 3:5, 6

c 2Kor 1:22
Ef 4:30
Op 7:4

d 2Kor 5:5
1Pe 1:3, 4

e 1Pe 2:9

f Ro 8:23
1Ti 2:5, 6

g Kol 1:9
1Ti 2:3, 4

h 1Pe 1:3, 4

i 2Kor 13:4

Tweede kol.

a Ps 110:1
Han 7:55

b Han 4:12
Flp 2:9-11

c Ps 8:6
1Kor 15:27
Heb 2:8

d Mt 28:18
Ef 5:23
Kol 1:18

e Ro 12:5
Ef 4:16

HFST. 2

f Kol 2:13

g Ro 12:2
Ef 4:17

h Joh 12:31

i 1Kor 2:12

j 1Kor 6:9-11

k 1Pe 4:3

l Joh 3:36

m Ps 145:9

n Ro 5:8
1Jo 4:9, 19

o Kol 2:12, 13

p Ef 1:3

dood opgewek het. Hy het hom aan sy regterhand in die hemelse plekke laat sit,^a **21** ver bo elke regering en gesag en mag en heerskappy en elke naam wat genoem word,^b nie net in hierdie tydperk* nie, maar ook in die tydperk wat kom. **22** Hy het ook alles onder sy voete geplaas^c en hom hoof oor alles gemaak in verband met die gemeente,^d **23** wat sy liggaam is^e en wat vol is van hom wat alle dinge in elke opsig vul.

2 Verder het God julle lewend gemaak, al was julle dood weens julle oortredings en sondes.^f **2** Julle het vroeër die weg van hierdie wêreld* gevolg,^g die weg van die heerser van die mag van die lug,^h die geesⁱ wat nou in die seuns van ongehoorsaamheid aan die werk is. **3** Ja, voorheen het ons almal ons volgens die begeertes van ons vlees gedra,^j net soos hulle. Ons het gedoen wat ons vlees en gedagtes wou hê ons moes doen,^k en net soos die res was ons van nature kinders van God se woede.^l **4** Maar God, wat groot genade het,^m het ons weens sy groot liefde waarmee hy ons liefgehad het,ⁿ **5** lewend gemaak saam met die Christus, selfs toe ons dood was weens oortredings.^o Julle is deur onverdiende goedheid gered. **6** Wat meer is, hy het ons saam opgewek en saam laat sit in die hemelse plekke in eenheid met Christus Jesus.^p **7** Hy het dit gedoen sodat hy in die komende tydperke* duidelik kon toon hoe groot sy onverdiende goedheid is wat hy uit sy hart* betoon het aan ons wat in eenheid met Christus Jesus is.

1:21; 2:2 *Of "stelsel van dinge".
Sien Woordelys. 2:7 *Of "stelsels van dinge".
Sien Woordelys. *Of "goedgunstiglik".

8 Deur hierdie onverdiende goedheid is julle deur middel van geloof gered,^a en julle het dit nie aan julleself te danke nie. Dit is eerder God se gawe. 9 Nee, dit is nie aan werke te danke nie,^b sodat niemand 'n rede sou hê om te spog nie. 10 Ons is God se handewerk,^c en ons is in eenheid met Christus Jesus^c geskep^d vir goeie werke, wat God vooraf vasgestel het vir ons om te doen.

11 Hou dus in gedagte dat julle wat as mense van die nasies gebore is,^e eens op 'n tyd onbesnede genoem is deur dié wat deur mensehande besny is. 12 Op daardie stadium was julle sonder Christus, vervreemd van die staat Israel, vreemdelinge ten opsigte van die verbonde van die belofte.^e Julle het geen hoop gehad nie en was sonder God in die wêreld.^f 13 Maar julle wat eers ver weg was, het nou in eenheid met Christus Jesus naby gekom deur die bloed van die Christus. 14 Want hy is ons vrede.^g Hy het die twee groepe een gemaak^h en die muur wat hulle geskei het, vernietig.ⁱ 15 Deur middel van sy liggaam^{*} het hy 'n einde gemaak aan die vyandskap, naamlik die Wet wat bestaan uit gebooe en wetsvoorskrifte, sodat hy die twee groepe in eenheid met homself tot een nuwe mens kon maak.^j So kon hy vrede bring 16 en deur die folterpaal^{*k} albei groepe in een liggaam heeltemal met God versoen. Hy het die vyandskap deur middel van homself verwyder.^l 17 En hy het gekom en die goeie nuus van vrede bekend gemaak aan julle

2:10 *Of "n produk van Sy werk".
2:11 *Of "in die vlees mense van die nasies was". 2:15 *Lett. "vlees".
2:16 *Sien Woordelys.

HFST. 2

a Ro 4:16

b Ro 3:20

c Ef 1:3, 4

d Ga 6:15

e Ro 9:4

f Jes 65:1

g Kol 1:19, 20

h Kol 3:11

i Le 20:26
Kol 2:13, 14j 1Kor 12:12
Ga 3:28

k Heb 12:2

l Han 10:28

Tweede kol.

a Ef 2:12

b Flp 3:20

c 1Ti 3:15
Heb 3:6

d 1Kor 12:28

e Jes 28:16

f Kol 2:19

g 1Kor 3:16
1Kor 6:19

h 1Pe 2:5

HFST. 3

i Ef 4:1

j 1Kor 9:16, 17
Kol 1:25, 26k 1Kor 4:1
Ef 6:19l Ro 11:25
Ro 16:25, 26

m Ef 2:15, 16

wat ver weg was en aan dié wat naby was, 18 want deur middel van hom het ons, albei groepe, deur een gees vrye toegang tot die Vader.

19 Julle is dus beslis nie meer vreemdelinge en uitlanders nie,^a maar julle is medeburgers^b van die heiliges en lede van die huisgesin van God.^c 20 Julle is opgebou op die fondament van die apostels en profete,^d terwyl Christus Jesus self die belangrikste hoeksteen van die fondament is.^e 21 In eenheid met hom groei die hele gebou, wat harmonies saamgevoeg is,^f tot 'n heilige tempel vir Jehovah.^g 22 In eenheid met hom word julle ook saam opgebou tot 'n plek waarin God deur gees woon.^h

3 Ek, Paulus, is dus 'n gevangeneⁱ van Christus Jesus ter wille van julle, die mense van die nasies. 2 Julle het beslis gehoor dat die bestuurder-skap^j van die onverdiende goedheid van God tot julle voordeel aan my gegee is. 3 Die heilige geheim is deur 'n openbaring aan my bekend gemaak, net soos ek voorheen kortliks aan julle geskryf het. 4 Wanneer julle hierdie brief lees, sal julle dus beseft dat ek die heilige geheim^k van die Christus verstaan. 5 In vorige geslagte is hierdie geheim nie aan die mensekinders bekend gemaak soos dit nou deur gees aan die heilige apostels en profete geopenbaar is nie.^l 6 Hierdie geheim is dat mense van die nasies in eenheid met Christus Jesus deur middel van die goeie nuus mede-erfgename en lede van dieselfde liggaam sal wees.^m Hulle sal saam met ons in die belofte deel. 7 Ek het 'n bedienaar hiervan geword danksy die vrye gawe

2:21 *Sien Aanb. A5.

van God se onverdiende goedheid wat deur die werking van sy krag aan my gegee is.^a

8 Hierdie onverdiende goedheid is aan my gegee,^b iemand wat die onbelangrikste van al die heiliges is,^c sodat ek die goeie nuus oor die onmeetbare rykdom van die Christus aan die nasies bekend sou maak. **9** Dit is ook aan my gegee sodat ek almal kon laat sien hoe die openbaring van die heilige geheim^d beheer word, wat deur die eeue heen geheim gehou is deur God, wat alles geskep het. **10** Dit het gebeur sodat die wysheid van God, wat op 'n groot verskeidenheid maniere geopenbaar word, nou deur middel van die gemeente^e aan die regerings en die owerhede in die hemelse plekke bekend gemaak kan word.^f **11** Dit is volgens sy ewige voorneme in verband met die Christus,^g Jesus ons Here, **12** deur middel van wie ons hierdie vrymoedigheid van spraak en vrye toegang^h vol vertroue deur ons geloof in hom het. **13** Daarom wil ek julle vra om nie moed op te gee weens die probleme wat ek ter wille van julle ondervind nie, want dit beteken eer vir julle.ⁱ

14 Daarom buig ek my knieë voor die Vader, **15** aan wie elke familie in die hemel en op die aarde sy naam te danke het. **16** Ek bid dat hy julle uit die oorfloed van sy heerlikheid deur die krag van sy gees sterksal maak in die mens wat julle innerlik is.^j **17** En ek bid dat die Christus deur julle geloof in julle harte mag woon, tesame met liefde.^k Mag julle stewig gewortel^l en gevestig wees op die fondament,^m **18** sodat julle saam met al die heiliges heeltemal in staat kan wees om ten volle te verstaan wat die breedte en lengte en hoogte en diepte van die waarheid is **19** en

HFST. 3

a Kol 1:25-27

b 1Ti 1:13, 14

c 1Kor 15:9

d Ef 1:9, 10

e 1Pe 1:10, 12

f 1Pe 2:9

g Ef 1:11

h Joh 14:6
Heb 4:15, 16

i 2Ti 2:10

j 2Kor 4:16

k Joh 14:23

l Kol 2:6, 7

m Kol 1:23

Tweede kol.

a Ro 8:35

b Kol 1:29

c Mr 11:24

HFST. 4

d Flm 9

e Flp 1:27

f Mt 11:29
Ro 12:3
Flp 2:3
1Pe 5:5

g 1Te 5:14

h 1Kor 13:4

i 1Kor 1:10
Kol 3:15

j Ro 12:5

k 1Kor 12:4

l 1Pe 1:3, 4

m 1Kor 8:6
1Kor 12:5, 6

n 1Kor 12:11

o Ps 68:18
1Kor 12:28
Ef 4:11

p Heb 9:24

q Han 1:9
1Ti 3:16

r Mt 10:2-4

s 1Kor 12:28

om die liefde van die Christus te ken,^a wat beter is as alle kennis, sodat julle gevul kan word met al die goeie dinge wat God gee.

20 God kan deur sy krag wat in ons aan die werk is,^b oneindig meer vir ons doen as alles wat ons vra of wat ons ons kan voorstel.^c **21** Hy verdien dus die eer deur middel van die gemeente en deur middel van Christus Jesus tot in alle geslagte, vir ewig en altyd. Amen.

4 Ek, die gevangene^d in die Here, vra julle dan dringend om te lewe op 'n manier wat pas by die roeping waarmee julle geroep is,^e **2** met alle nederigheid^f en sagmoedigheid en met geduld,^g terwyl julle mekaar in liefde verdra.^h **3** Probeer hard om die eenheid van die gees in die verenigende band van vrede te bewaar.ⁱ **4** Daar is een liggaam^j en een gees,^k net soos julle geroep is in die een hoop^l van julle roeping, **5** een Here,^m een geloof, een doop, **6** een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is.

7 Aan elkeen van ons is daar onverdiende goedheid gegee soos die Christus hierdie vrye gawe tussen ons verdeel het.ⁿ **8** Want daar is geskryf: "Toe hy na bo opgevaar het, het hy gevangenes weggevoer. Hy het gewes in die vorm van mense gegee."^o **9** Wat anders kan die woorde 'hy het opgevaar' dan nou beteken as dat hy ook ondertoe, dit wil sê na die aarde toe, neergedaal het? **10** Dieselfde een wat neergedaal het, is ook die een wat ver bo al die hemele^p opgevaar het^q om volheid aan alle dinge te gee.

11 En hy het party gegee as apostels,^r party as profete,^s party as evangeliepredi-

4:2 *Of "nederigheid van verstand".

kers,^a party as herders en onderrigters,^b **12** om die heiliges reg te help,* om te dien, om die liggaam van die Christus op te bou.^c **13** Hulle sal dit doen totdat ons almal die eenheid van die geloof bereik en akkurate kennis van die Seun van God verkry, sodat ons soos 'n volgroeiende* man kan word^d en die standaard van volwassenheid van die Christus kan bereik. **14** Ons moet dus nie meer kinders wees wat deur die golwe rondgegooi word en heen en weer gewaai word deur elke wind van lering^e van mense wat bedrieg en slinkse planne uitdink nie. **15** Maar laat ons die waarheid praat en deur liefde in alles groei sodat ons kan wees soos hy wat die hoof is, Christus.^f **16** Uit hom word die hele liggaam^g harmonies saamgevoeg en gemaak om saam te werk omdat elke gewrig gee wat nodig is. As elke deel behoorlik funksioneer, dra dit by tot die groei van die liggaam, en so bou die liggaam homself in liefde op.^h

17 Daarom sê ek en getuig ek in die Here: Julle moenie langer die weg van die nasies met hulle leë* gedagtes/ volg nie.ⁱ **18** Hulle is verstandelik in duisternis en vervreemd van die lewe wat van God kom omdat hulle hom nie wil ken nie, want hulle harte is ongevoelig.* **19** Hulle het glad nie meer 'n gevoel vir wat reg en wat verkeerd is nie, en daarom het hulle hulleself aan skaamtelose gedrag*^k oorgegee om elke soort onreinheid met gierigheid te beoefen.

20 Maar dit is nie wat julle oor die Christus geleer het nie.

4:11 *Of "verkondigers van die goeie nuus". 4:12 *Of "op te lei". 4:13 *Of "volwasse". 4:17 *Of "nuttelose". 4:18 *Of "afgestomp". 4:19 *Grieks: a-sel/gei-a. Sien Wordelys.

HFST. 4

a Han 21:8

b Han 13:1
Jak 3:1

c 1Kor 14:26

d 1Kor 14:20

e Heb 13:9

f 1Kor 11:3
Kol 1:18

g 1Kor 12:27

h Kol 2:19

i Ro 1:21

j 1Pe 4:3

k Ga 5:19

Tweede kol.

a Ro 6:6
Kol 3:9

b Ro 7:23

c Ps 51:10
Ro 12:2

d Kol 3:10

e Sag 8:16
Kol 3:8,9
Op 21:8

f Ro 12:5

g Ps 4:4

h Le 19:17
Kol 3:13

i Jak 4:7

j 2Te 3:10

k Han 20:35
1Te 4:11, 12

l Mt 15:11
Jak 3:10

m Kol 4:6

n Jes 63:10

o Ef 1:13

p Ro 8:23

q Jak 3:14

r Kol 3:8

s Tit 3:2

21 Julle het hom tog gehoor en is deur middel van hom geleer in ooreenstemming met die waarheid wat in Jesus is. **22** Julle is geleer om van die ou persoonlikheid ontslae te raak,^a wat met julle vorige lewenswyse ooreenkom en wat al hoe slegter word as gevolg van sy bedrieglike begeertes.^b **23** Julle moet aanhou om 'n nuwe denkwysie aan te leer*^c **24** en die nuwe persoonlikheid aantrek,^d wat in ooreenstemming met God se wil in ware regverdigheid en lojaliteit geskep is.

25 Daarom moet elkeen van julle, noudat julle bedrog agtergelaat het, die waarheid met sy naaste praat,^e want ons is lede wat aan mekaar behoort.^f

26 Wees kwaad, maar moenie sondig nie.^g Moenie toelaat dat die son ondergaan terwyl julle nog kwaad is nie,^h **27** en moenie die Duiwel 'n geleentheid gee* nie.ⁱ **28** Laat die een wat steel, nie meer steel nie. Laat hom liever hard werk deur met sy hande goeie werk te doen/ sodat hy iets kan hê om te deel met iemand wat behoeftig is.^k **29** Laat 'n slegte woord nie uit julle mond kom nie,^j maar net wat opbouend is vir dié wat dit nodig het. So kan julle iets voordeligs deel met dié wat dit hoor.^m

30 Moet ook nie God se heilige gees bedroef* nie,ⁿ want julle is verseël^o vir 'n dag wanneer julle deur 'n losprys bevry sal word.^p

31 Moenie enige soort wrok koester nie,^q en laat vaar alle woede, geskree en beledigende taal,^r saam met alles wat sleg is.^s **32** Maar wees goed vir

4:23 *Of "vernuwe word in die krag wat julle verstand aandryf". Lett. "vernuwe word ten opsigte van die gees van julle verstand". 4:27 *Of "plek toelaat vir die Duiwel". 4:30 *Of "hartseer maak".

mekaar, betoon intense medelye,^a en vergewe mekaar vryelik net soos God julle ook deur Christus vryelik vergewe het.^b

5 Word dan navolgers van God,^c as geliefde kinders, **2** en hou aan om liefde te betoon,^d net soos die Christus ook liefde aan ons* betoon het^e en homself vir ons* gegee het as 'n gawe en 'n offerande, 'n aange-name geur vir God.^f

3 Laat seksuele onsedelikheid* en elke soort onreinheid of gierigheid nie eers onder julle genoem word nie,^g net soos dit vir heilige mense^h gepas is, **4** en ook nie skandelige gedrag of dwase praatjies of vuil grappe nie,ⁱ want dit is dinge wat ongepas is, maar doen eerder dankgebede.^j **5** Want julle weet en julle besef self dat niemand wat seksueel onsedelik*^k of onrein of gierig^l is – wat beteken om 'n afgodedienaar te wees – 'n erfdeel in die Koninkryk van die Christus en van God het nie.^m

6 Laat niemand julle met leë woorde bedrieg nie, want as gevolg van sulke dinge kom die woede van God oor die kinders van ongehoorsaamheid. **7** Moet dus nie doen wat hulle doen nie,^{*} **8** want julle was eens duisternis, maar julle is nou ligⁿ in verband met die Here.^o Gaan voort om as kinders van die lig te lewe, **9** want die vrug van die lig bestaan uit elke soort goedheid en regverdigheid en waarheid.^p **10** Hou aan om seker te maak van wat vir die Here aanvaarbaar is,^q **11** en hou op om die onvrugbare werke te doen wat aan die

4:32 *Sien Woordelys. 5:2 *Of moontlik "julle". 5:3 *Grieks: *porneia*. Sien Woordelys. 5:5 *Sien Woordelys, "Seksuele onsedelikheid". 5:7 *Of "dus nie in hierdie dinge met hulle deal nie".

HFST. 4

- a Kol 3:12
1Pe 3:8
b Mt 6:14
Mt 18:35
Mr 11:25

HFST. 5

- c Mt 5:48
Lu 6:36
d 1Kor 16:14
e Joh 13:34
1Jo 3:23
f Eks 29:18
g 1Kor 5:11
Kol 3:5
h 1Te 4:3
i Kol 3:8
j 1Te 5:18
k Han 15:28, 29
l 1Ti 3:8
Tit 1:7
m 1Kor 6:9, 10
Ga 5:19, 21
n Mt 5:16
Joh 12:36
o 1Pe 2:9
p Ga 5:22, 23
q Ro 12:2

Tweede kol.

- a Ro 13:12, 13
2Kor 6:14
b Ef 2:1
Kol 2:13
c Joh 8:12
d Kol 4:5
e Ro 12:2
1Te 4:3
1Pe 4:2
f Jes 5:11
g Jak 5:13
h Ps 33:2, 3
i Han 16:25
Kol 3:16
j Kol 3:17
k 1Te 5:18
l Flp 2:3
1Pe 5:5
m Kol 3:18
Tit 2:4, 5
1Pe 3:1
n Ro 7:2
o 1Kor 11:3
p 1Pe 3:7

duisternis behoort,^a maar ontmasker eerder hierdie werke. **12** Want die dinge wat hulle in die geheim doen, is te skandelik om selfs te noem. **13** Alles wat dan nou ontmasker* word, word deur die lig geopenbaar, want alles wat geopenbaar word, is lig. **14** Daarom word daar gesê: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood,^b en die Christus sal op jou skyn."^c

15 Hou dus aan om noukeurig te let op hoe julle julle gedra, dat dit nie as onwyse persone is nie, maar as wyse persone, **16** en maak die beste gebruik van julle tyd,^d want die dae is goddeloos. **17** Hou dus op om onredelik te wees, maar probeer verstaan wat die wil van Jehovah* is.^e **18** En moenie dronk word van wyn,^f wat tot wilde gedrag* lei nie, maar word voortdurend met gees gevul. **19** Versterk mekaar^g deur psalms, lofliedere en liedere vir aanbidding te sing.^h Sing en maak musiek^h vir Jehovah* in julle harte,ⁱ **20** terwyl julle ons God en Vader altyd vir alles in die naam van ons Here Jesus Christus^j dank.^k

21 Wees onderdanig aan mekaar^l uit diep respek vir Christus. **22** Laat vrouens onderdanig wees aan hulle mans^m soos aan die Here, **23** want 'n man is die hoof van sy vrou,ⁿ net soos die Christus ook die hoof van die gemeente is,^o die liggaam wat hy gered het. **24** Ja, soos die gemeente aan die Christus onderdanig is, so moet vrouens ook in alles aan hulle mans onderdanig wees. **25** Mans, hou aan om julle vrouens lief te hê,^p net soos

5:13 *Of "tereggewys". 5:16 *Lett. "koop die vasgestelde tyd uit". 5:17, 19 *Sien Aanh. A5. 5:18 *Of "losbandigheid; onbeheersheid". 5:19 ^gOf moontlik "julleself".

die Christus ook die gemeente liefgehad het en homself daarvoor opgeoffer het,^a **26** sodat hy dit kon heilig en reinig deur dit in die water van die woord te bad,^b **27** en sodat hy die gemeente in die prag daarvan voor hom kon aanbied, sonder 'n vlek of 'n plooi of iets soortgelyks,^c maar heilig en sonder enige soort merk.^d

28 Net so moet mans hulle vrouens liefhê soos hulle eie liggame. 'n Man wat sy vrou liefhet, het homself lief, **29** want geen man het al ooit sy eie liggaam* gehaat nie, maar hy voed dit en versorg dit, net soos die Christus ook met die gemeente doen, **30** want ons is lede van sy liggaam.^e **31** "Daarom sal 'n man sy pa en sy ma verlaat, en hy sal sy vrou aankleef,* en die twee sal een vlees wees."^f **32** Hierdie heilige geheim^g is groot. Ek praat nou oor Christus en die gemeente.^h **33** Maar elkeen van julle moet sy vrou liefhêⁱ soos homself, en die vrou moet diep respek vir haar man hê.^j

6 Kinders, wees gehoorsaam aan julle ouers^k in eenheid met die Here, want dit is regverdig. **2** "Eer* jou pa en jou ma"^l is die eerste gebod met 'n belofte: **3** "Sodat dit met jou goed kan gaan* en jy lank op die aarde kan bly." **4** En pa's, moenie julle kinders irriteer nie,^m maar hou aan om hulle in die dissiplineⁿ en riglyne* van Jehovah[#] op te voed.^o

5 Slawe, wees gehoorsaam aan julle aardse* meesters,^p met respek en vrees in die opregtheid van julle harte, soos aan

5:29 *Lett. "vlees". 5:31 *Of "by sy vrou bly". 6:2 *Of "Respekteer". 6:3 *Of "Sodat jy suksesvol kan wees". 6:4 *Of "onderrigting; leiding". 6:4, 7, 8 #Sien Aanh. A5. 6:5 *Lett. "vleeslike".

HFST. 5

- a Han 20:28
b Joh 17:17
c Tit 2:13, 14
d Ef 1:4
Kol 1:21, 22
e Ro 12:5
Ef 1:22, 23
f Ge 2:24
Mt 19:5
g Ef 1:9, 10
Kol 1:26, 27
h Ef 3:5, 6
i Kol 3:19
j 1Pe 3:5, 6

HFST. 6

- k Spr 1:8
Spr 6:20
Kol 3:20
l Eks 20:12
De 5:16
Spr 20:20
Spr 23:22
Mt 15:4
m Kol 3:21
n Spr 13:24
o De 6:6, 7
Spr 3:11
Spr 19:18
Spr 22:6
p 1Ti 6:1
1Pe 2:18

Tweede kol.

- a Kol 3:22
b Lu 10:27
c 1Kor 10:31
d Kol 3:23, 24
e 1Kor 7:22
f Ef 3:16
g Ro 13:12
h 2Ti 4:7
i 2Pe 2:4
j 2Kor 6:4, 7
k Jes 11:5
l Spr 4:23
Jes 59:17
m Jes 52:7
Ro 10:15
n 1Jo 5:4
o 1Pe 5:8, 9
p Jes 59:17
1Te 5:8

die Christus, **6** nie net wanneer julle dopgehou word, sodat julle mense tevrede kan stel nie,^a maar soos Christus se slawe, wat die wil van God met hulle hele siel* doen.^b **7** Dien met 'n goeie gesindheid, soos vir Jehovah^{#c} en nie vir mense nie, **8** want julle weet dat elkeen, of hy nou 'n slaaf of 'n vryman is, al die goeie dinge wat hy doen, van Jehovah[#] sal terugkry.^d **9** En meesters, hou aan om hulle op dieselfde manier te behandel, en moet hulle nie dreig nie, want julle weet dat hulle dieselfde Meester as julle in die hemel het,^e en hy is nie partydig nie.

10 Laastens, hou aan om krag te ontvang^f by die Here, want sy mag is groot. **11** Trek die volle wapenrusting^g van God aan, sodat julle kan vasstaan teen die slinkse planne van die Duiwel, **12** want ons het nie 'n stryd^{#h} teen vlees en bloed nie, maar teen die regerings, teen die owerhede, teen die wêreldheersers van hierdie tuisland, teen die bese gesmagteⁱ in die hemelse plekke. **13** Daarom moet julle die volle wapenrusting van God aantrek,^j sodat julle weerstand kan bied op die goddelose dag en kan vasstaan nadat julle alles deeglik gedoen het.

14 Staan dus vas met die lyfband van waarheid om julle middel vasgemaak,^k met die borsplaat van regverdigheid aan^l **15** en met die gewilligheid om die goeie nuus van vrede bekend te maak, aan julle voete.^m **16** Dra dan ook die groot skild van geloof,ⁿ waarmee julle al die brandende pyle* van die Duiwel[#] sal kan blus.^o **17** En dra ook die helm van redding^p

6:6 *Sien Woordelys. 6:12 *Lett. "worsteling". 6:16 *Of "missiele". #Lett. "die Bose".

en die swaard van die gees, dit wil sê God se woord.^a **18** Hou ook aan om by elke geleentheid in gees te bid^b met elke vorm van gebed en smeekgebede. Bly dus wakker, en doen heeltyd smeekgebede vir al die heiliges. **19** Bid ook vir my, dat die woorde aan my gegee sal word wanneer ek my mond oopmaak, sodat ek die heilige geheim van die goeie nuus moedig kan bekend maak,^c **20** waarvoor ek as 'n ambassadeur^d in kettings optree, en bid vir my sodat ek moedig daarvoor kan praat soos ek behoort te praat.

HFST. 6

a Heb 4:12

b Kol 4:2
Jud 20

c Kol 4:3

d 2Kor 5:20

Tweede kol.

a 2Ti 4:12
Tit 3:12

b Kol 4:7,8

21 Ti'gikus,^a 'n geliefde broer en getroue bedienaar in die Here, sal vir julle alles oor my vertel en vir julle sê hoe dit met my gaan.^b **22** Dit is juis hoekom ek hom na julle toe stuur, sodat julle kan weet hoe dit met ons gaan en sodat hy julle harte kan vertroos.

23 Mag die broers vrede en liefde hê met geloof van God, die Vader, en van die Here Jesus Christus. **24** Mag die onverdiende goedheid met almal wees wat ons Here Jesus Christus liefhet met liefde wat nie vergaan nie.

AAN DIE

FILIPPENSE

OORSIG

- Groete (1, 2)
Dank aan God; Paulus se gebed (3-11)
Goeie nuus versprei ondanks probleme (12-20)
'Lewe vir Christus, sterf tot my voordeel' (21-26)
Gedrag wat die goeie nuus waardig is (27-30)
- Christelike nederigheid (1-4)
Christus se nederigheid en hoë posisie (5-11)
Werk aan julle eie redding (12-18)
Skyn as ligte (15)

- Timoteus en Epafroditus gestuur (19-30)
- Vertrou nie op menslike dinge nie (1-11)
Alles 'n verlies as gevolg van Christus (7-9)
Strek uit na dinge wat voor is (12-21)
Burgerskap in die hemel (20)
 - Eenheid, blydskap, gepaste denke (1-9)
"Moet oor niks bekommerd wees nie" (6, 7)
Waardering vir Filippense se geskenke (10-20)
Groete (21-23)

1 Van Paulus en Timo'teus, slawe van Christus Jesus. Aan al die heiliges in eenheid met Christus Jesus wat in Filip'pi^a is, saam met die opsieners en bedieningsknegte:^b

HFST. 1

a Han 16:12

b 1Ti 3:1,8

2 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

3 Ek dank my God altyd wanneer ek aan julle dink. **4** In al

my smeekgebede vir julle dank ek hom met vreugde^a **5** omdat julle van die eerste dag af tot nou toe bygedra het tot* die bevordering van die goeie nuus. **6** Ek het die vaste vertroue dat die een wat 'n goeie werk onder julle begin het, dit sal bly doen totdat dit op die dag van Jesus Christus^b voltooi is.^c **7** Dit is net reg dat ek so oor julle almal voel omdat ek julle in my hart dra. Julle het saam met my in die onverdiente goedheid gedeel toe ek in die tronk was^d en toe ons die goeie nuus verdedig en wetlik bevestig het.^e

8 Want God is my getuie van hoe ek na julle almal verlang met dieselfde soort liefde as wat Christus Jesus het. **9** En ek bly bid dat julle liefde al hoe meer sal toeneem^f met akkurate kennis^g en goeie oordeel^h. **10** en dat julle seker kan maak van die belangriker dinge.ⁱ Dan sal julle tot op die dag van Christus opreg kan wees en ander nie laat struikel nie.^j **11** Ek bid ook dat julle deur Jesus Christus al hoe meer regverdiges werke kan doen,^k tot lof en eer van God.

12 Ek wil hê dat julle moet weet, broers, dat my situasie in werklikheid bygedra het tot die verspreiding van die goeie nuus, **13** want dit het onder die hele pretoriaanse wag en al die ander bekend geword^l dat ek 'n gevangene^m is ter wille van Christus. **14** Die meeste van die broers in die Here het meer vertroue gekry omdat ek 'n gevangene is, en hulle het al hoe meer moed om die woord van God sonder vrees te verkondig.

15 Dit is waar dat party die Christus verkondig omdat hulle jaloers is en daarvan hou om te

1:5 *Of "n deelname gehad het aan".
1:9 *Of "volle onderskeidingsvermoë".

HFST. 1

a 1Te 1:2

b 1Kor 1:8

c Flp 2:13

d Ef 3:1

Flp 1:13

Kol 4:18

2Ti 1:8

Fim 13

e Han 24:10, 14

Han 25:10-12

f 1Te 3:12

g Joh 17:3

h Heb 5:14

i Ro 12:2

j Ro 14:13, 21

k Joh 15:5

l Han 28:30, 31

m Ef 3:1

Tweede kol.

a Flp 1:7

b 2Kor 1:11

c Joh 15:26

d Ro 14:8

1Pe 4:16

e Ga 2:20

f 1Te 4:14

2Ti 4:8

Op 14:13

g 2Ti 4:6

h 2Kor 5:6, 8

stry, maar ander het goeie motiewe. **16** Die laasgenoemdes verkondig die Christus uit liefde, want hulle weet dat ek aangestel is om die goeie nuus te verdedig,^a **17** maar die eersgenoemdes doen dit omdat hulle selfsugtig is en nie goeie motiewe het nie, want hulle wil vir my, wat 'n gevangene is, probleme veroorsaak. **18** Wat is die gevolg? Net dat Christus op elke manier verkondig word, of dit nou met goeie motiewe is of nie, en ek is bly hieroor. Om die waarheid te sê, ek sal ook aanhou om bly te wees, **19** want ek weet dat dit tot my redding sal lei as gevolg van julle smeekgebede^b en die ondersteuning van die gees van Jesus Christus.^c **20** Ek het die vertroue en die hoop dat ek my vir niks sal hoef te skaam nie, maar dat Christus nou, net soos voorheen, met alle vrymoedigheid van spraak deur my* geëer sal word, of ek nou bly lewe of sterf.^d

21 Want as ek lewe, lewe ek vir Christus,^e en as ek sterf, is dit tot my voordeel.^f **22** As ek verder in hierdie liggaam* moet lewe, sal ek meer vir die Christus kan doen,^g maar ek maak nie bekend wat ek sal kies nie. **23** Dit voel asof ek in twee verdeel is, want ek wil graag bevry word en saam met Christus wees,^g want dit is beslis baie beter.^h **24** Maar vir julle beswil is dit vir my beter om in hierdie liggaam* te bly. **25** Omdat ek hierdie vertroue het, weet ek dat ek sal bly lewe en by julle almal sal bly sodat julle vooruitgang kan maak en vreugde in die geloof kan hê. **26** Dan sal julle kan oorloop van vreugde

1:20 *Lett. "in my liggaam". 1:22, 24 *Lett. "die vlees". 1:22 #Lett. "is dit 'n vrug van my werk".

in Christus Jesus wanneer ek weer by julle is.

27 Gedra julle net* op 'n manier wat die goeie nuus oor die Christus waardig is.^a Of ek julle kom besoek of nie, ek sal graag wil hoor dat julle vasstaan in een gees, met een siel,^b terwyl julle sy aan sy hard werk om geloof in die goeie nuus te behou **28** en dat julle glad nie deur julle teenstanders bang gemaak word nie. Dit is vir hulle 'n bewys dat hulle vernietig sal word,^c maar vir julle dat julle gered sal word.^d Dit kom van God af. **29** Want julle het die voorreg ontvang om nie net geloof in Christus te stel nie, maar ook om vir hom te ly.^e **30** Want julle het dieselfde stryd wat julle in my geval gesien het,^f en soos julle gehoor het, het ek nog steeds hierdie stryd.

2 Julle moedig mekaar in Christus aan, julle vertroos mekaar in liefde, julle is besorg oor mekaar,* julle is lief vir mekaar en julle betoon medelye^a aan mekaar. **2** Maar gee my dan nog groter vreugde deur dieselfde gesindheid en liefde te hê terwyl julle heeltemal verenig* is en dieselfde denke het.^g **3** Moenie strygerig wees^h of te veel van julleself dink nie,ⁱ maar wees nederig* en beskou ander as hoër as julleself.^j **4** terwyl julle nie net aan julle eie belang dink nie,^k maar ook aan die belang van ander.^l

5 Behou dieselfde denke en gesindheid wat Christus Jesus gehad het.^m **6** Al was hy soos God,ⁿ het hy dit nooit eens oor-

1:27 *Of "Gedra julle net soos burgers". #Of "soos een man". 2:1 *Lett. "het deelgenootskap in gees". 2:1, 8 #Sien Woordelys. 2:2 *Of "in siel verenig". 2:3 *Of "nederig van verstand". 2:6 *Lett. "het hy in God se gedaante bestaan".

HFST. 1

- a Ef 4:1, 3
- Kol 1:10
- b Ro 15:5, 6
- 1Kor 1:10
- c 2Te 1:6
- d Lu 21:19
- 2Te 1:4, 5
- e Han 5:41
- f Han 16:22, 23
- 1Te 2:2

HFST. 2

- g 1Kor 1:10
- 2Kor 13:11
- 1Pe 3:8
- h Flp 1:15, 17
- Jak 3:14, 16
- i Ga 5:26
- j Mt 23:11
- Ef 4:1, 2
- Ef 5:21
- k 1Kor 13:4, 5
- l 1Kor 10:24
- 1Kor 10:32, 33
- m Mt 11:29
- Joh 13:14, 15
- n Kol 1:15
- Heb 1:3

Tweede kol.

- a Joh 14:28
- b Jes 53:2, 3
- c Joh 1:14
- d Joh 10:17
- Heb 2:9
- Heb 5:8
- e Ga 3:13
- f Jes 52:13
- Han 2:32, 33
- g Han 4:12
- Ef 1:20, 21
- h Joh 5:22, 23
- i Ro 10:9
- j 1Kor 10:10
- 1Pe 4:9
- k 1Ti 2:8
- l Ef 5:1
- m De 32:5
- n Mt 5:14
- Ef 5:8, 9
- 1Pe 2:9, 12
- o Joh 6:68
- Heb 4:12
- p Nu 28:6, 7
- 2Kor 12:15
- 2Ti 4:6
- q Heb 13:15
- 1Pe 2:5

weeg om homself aan God te probeer gelykstel nie.^a **7** Nee, hy het alles opgegee en soos 'n slaaf geword^b en 'n mens* geword.^c **8** Wat meer is, toe hy as 'n mens gekom* het, het hy homself verneder en gehoorsaam geword tot die dood toe,^d ja, die dood aan 'n folterpaal.^e **9** Om hierdie rede het God hom ook 'n hoër posisie gegee^f en hom uit sy goedheid die naam gegee wat bo elke ander naam is,^g **10** sodat elke knie in die naam van Jesus sal buig - dié in die hemel en dié op die aarde en dié onder die grond^h - **11** en sodat elke tong openlik sal erken dat Jesus Christus Hereⁱ is tot die eer van God, die Vader.

12 My geliefdes, julle was nog altyd gehoorsaam, nie net toe ek daar was nie, maar nou nog veel meer terwyl ek nie daar is nie. Hou aan om met vrees en diep respek aan julle eie redding te werk. **13** Want dit is God wat julle versterk soos hy dit goedvind. Hy gee julle die begeerte en die krag om op te tree. **14** Hou aan om alles te doen sonder om te kla^j of te stry,^k **15** sodat julle rein en onskuldig kan word, kinders van God,^l onbesmet in 'n geslag wat sleg en verdraai is.^m Onder hulle skyn julle as ligte in die wêreldⁿ **16** terwyl julle stewig aan die woord van die lewe vashou.^o Dan kan ek in Christus se dag 'n rede hê om bly te wees omdat ek weet dat ek nie verniet gehardloop of hard gewerk het nie. **17** Maar selfs al word ek soos 'n drankoffer uitgegooi^p oor die offerande^q en die heilige* diens waartoe geloof julle gelei het, is ek bly. Ja, ek sal

2:7 *Lett. "aan die mense gelyk". 2:8 *Lett. "hom in gestalte as 'n mens bevind". 2:17 *Of "openbare".

saam met julle almal bly wees. **18** Net so moet julle dan nou ook bly wees en julle vreugde met my deel.

19 Ek hoop in die Here Jesus om Timo'teus^a binnekort na julle toe te stuur, sodat ek aangemoedig kan wees wanneer ek nuus oor julle ontvang.

20 Want ek het niemand anders om te stuur wat dieselfde gesindheid as hy het en wat opreg na julle belange sal omsien nie.

21 Want al die ander soek hulle eie belange, nie dié van Jesus Christus nie. **22** Maar julle weet dat hy bewys het dat hy nie so is nie omdat hy, soos 'n kind^b saam met sy pa, saam met my soos 'n slaaf gedien het om die goeie nuus te bevorder.

23 Daarom hoop ek om hom te stuur sodra ek gesien het hoe sake vir my uitdraai. **24** Ja, ek vertrou op die Here dat ek self ook binnekort sal kom.^c

25 Maar vir eers dink ek dat dit nodig is om Epafrodi'tus terug te stuur na julle toe. Hy is my broer en medewerker en medesoldaat, wat julle gestuur het om na my behoeftes om te sien.^d **26** Hy wil julle almal baie graag sien en is hartseer omdat julle gehoor het dat hy siek geword het. **27** Ja, hy het so siek geword dat hy amper gesterf het, maar God was genadig teenoor hom, en om die waarheid te sê, ook teenoor my, sodat ek nie nog groter hartseer sou hê nie. **28** Daarom stuur ek hom met die grootste dringendheid, sodat julle weer bly kan wees wanneer julle hom sien en ek ook nie so bekommerd hoef te wees nie. **29** Verwelkom hom dus met alle vreugde in die Here soos julle gewoonlik alle Christene verwelkom, en respekteer en waardeer sulke manne,^e

HFST. 2

a 1Kor 4:17
1Kor 16:10

b 2Ti 1:2

c Flm 22

d Flp 4:18

e 1Kor 16:18
1Te 5:12, 13

Tweede kol.

a Flm 10, 13

HFST. 3

b 2Kor 13:11
Flp 4:4
1Te 5:16

c Ga 5:2

d Jer 4:4
Ro 2:29
Kol 2:11e Ga 6:14
Heb 9:13, 14f Ge 17:12
Le 12:3

g 2Kor 11:22

h Han 23:6
Han 26:4, 5i Han 8:3
Han 9:1, 2
Ga 1:13

j Mt 13:44

30 want hy het amper gesterf ter wille van die werk van Christus.* Hy het sy lewe gevaag om op te maak vir die feit dat julle nie hier was om my te help nie.^a

3 Laastens, my broers, wees altyd bly in die Here.^b Dit is nie vir my moeite om dieselfde dinge aan julle te skryf nie, en dit is vir julle 'n beskerming.

2 Pasop vir die honde, pasop vir dié wat skade aanrig, pasop vir dié wat die liggaam* vermink.^c **3** Want ons is dié wat werklik besny is,^d wat heilige diens deur God se gees doen en oor Christus Jesus spog^e en wat nie ons vertrou in die vlees stel nie, **4** al het ek alle rede om vertrou in die vlees te hê.

As enigiemand anders dink dat hy rede het om vertrou in die vlees te hê, het ek nog meer: **5** Ek is op die agtste dag besny,^f uit die nasie Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër gebore uit Hebreërs,^g wat die wet betref, 'n Fariseër,^h **6** wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente,ⁱ wat regverdigheid op grond van die wet betref, iemand met wie daar nie foutgevind kon word nie. **7** Maar die dinge wat vir my baie beteken het, het ek as 'n verlies beskou* as gevolg van die Christus.^j **8** Wat meer is, weens die oortreffende waarde van die kennis van Christus Jesus, my Here, beskou ek alles beslis as 'n verlies. Ter wille van hom het ek die verlies van alles aanvaar en beskou ek dit as 'n klomp vullis, sodat ek Christus kan wen **9** en in eenheid met hom kan wees. Dit is nie deur my eie regverdigheid omdat ek gehoorsaam is

2:30 *Of moontlik "die Here". **3:2** *Lett. "vlees". **3:7** *Of moontlik "ge-willig verlaat".

aan die Wet nie, maar deur my regverdigheid weens geloof^a in Christus,^b want God beskou dié wat geloof het, as regverdig.^c **10** Ek wil hom en die krag van sy opstanding ken.^d Ek wil soos hy ly^e en 'n soortgelyke dood as hy sterf,^f **11** sodat ek kan sien of ek die vroeër opstanding uit die dood kan ontvang,^g as dit enigsins moontlik is.

12 Nie dat ek dit reeds ontvang het of reeds volmaak geword het nie, maar ek probeer my bes^h om te sien of ek ook dit kan kry waarvoor Christus Jesus my gekies het.ⁱ **13** Broers, ek bedoel nie dat ek dit al gekry het nie, maar een ding is seker: Ek vergeet die dinge wat agter is^j en strek my uit na die dinge wat voor is.^k **14** Ek probeer my bes om my doel te bereik, naamlik om die prys^l van God se roeping na die hemel te ontvang,^m wat hy deur middel van Christus Jesus gee. **15** Laat ons almal wat geestelik volwasse is,ⁿ dus hierdie denke en gesindheid hê, en as julle in enige opsig anders daaroor dink, sal God die bogenoemde gesindheid aan julle openbaar. **16** In elk geval, net soos ons reeds vordering gemaak het, moet ons aanhou om ordelik op hierdie weg voort te gaan.

17 Broers, volg my in eenheid na,^o en hou julle oë op dié wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle gestel het. **18** Want daar is baie wat as vyande van die folterpaal* van die Christus lewe. Ek het dikwels van hulle gepraat, maar ek huil wanneer ek nou van hulle praat. **19** Hulle einde is vernietiging, en hulle god is hulle maag, en hulle eer is eintlik hulle skande, en hulle dink net aan aard-

3:18 *Sien Woordelys.

HFST. 3

- a Ro 4:5
- b Ga 2:15, 16
- c Ro 3:20-22
- d 1Kor 15:22
2Kor 13:4
- e Ro 8:17
2Kor 4:10
Kol 1:24
- f Ro 6:5
- g 1Te 4:16
Op 20:6
- h Lu 13:24
- i 1Ti 6:12
- j Lu 9:62
- k 1Kor 9:24
- l 2Ti 4:8
Heb 12:1
- m Heb 3:1
- n 1Kor 14:20
Heb 5:14
- o 1Kor 4:16
2Te 3:9

Tweede kol.

- a Ro 8:5
Jak 3:15
- b Ef 2:19
- c Joh 18:36
Ef 2:6
Kol 3:1
- d 1Kor 1:7
1Te 1:10
Tit 2:13
Heb 9:28
- e 1Kor 15:42, 49
- f 1Kor 15:27
Heb 2:8

HFST. 4

- g Flp 1:27
- h 1Te 2:19
- i Ro 15:5, 6
1Kor 1:10
2Kor 13:11
Flp 2:2
1Pe 3:8
- j Ps 69:28
Lu 10:20
- k Ps 64:10
1Te 5:16
- l Tit 3:2
Jak 3:17
- m Mt 6:25
Lu 12:22
- n Joh 16:23
Ro 12:12
1Pe 5:6, 7
- o Joh 16:33
Ro 5:1
- p Kol 3:15
- q Kol 3:2

se dinge.^a **20** Maar ons burger-skap^b is in die hemel,^c en ons wag gretig vir 'n redder wat van daar af kom, die Here Jesus Christus.^d **21** Hy sal ons nederrige liggeme verander om soos sy glorieryke liggaam^e te wees deur middel van sy groot krag wat hom in staat stel om alles aan homself te onderwerp.^f

4 Daarom, my broers, moet julle vasstaan^g in die Here. My geliefdes, my vreugde en kroon,^h ek is lief vir julle en verlang na julle.

2 Ek vra Euo'dia en ek vra Sinti'ge om dieselfde denke te hê terwyl hulle die Here dien.ⁱ

3 Ja, ek vra jou ook, as 'n ware medewerker, om hierdie vrouens by te staan. Hulle het hard saam met my gewerk vir die goeie nuus, net soos Klemens en die res van my medewerkers, wie se name in die boek van die lewe is.^j

4 Wees altyd bly in die Here. Weer eens sal ek sê: Wees bly!^k

5 Laat julle redelikheid^l aan alle mense bekend word. Die Here is naby. **6** Moet oor niks bekommerd wees nie,^m maar vra God in elke situasie om julle te help deur tot hom te bid, hom te smeek en hom te dank.ⁿ **7** Dan sal die vrede^o van God, wat alle denke oortref, julle harte^p en julle verstande* beskerm deur middel van Christus Jesus.

8 Laastens, broers, hou aan om te dink aan* alles wat waar is, alles wat werklik belangrik is, alles wat regverdig is, alles wat rein^q is, alles wat lieflik is, alles waarvan goed gepraat word, alles wat goed is en alles wat prysenswaardig is.^q **9** Hou

4:7 *Of "verstandelike vermoëns; gedagtes". 4:8 *Of "peins oor". ^q Lett. "kuis".

aan om die dinge te doen wat julle in verband met my geleer en aanvaar en gehoor en gesien het,^a en die God van vrede sal met julle wees.

10 As 'n kneg van die Here is ek baie bly dat julle nou uiteindelik weer besorg is oor my.^b Julle was wel besorg oor my, maar julle het nie die geleentheid gehad om dit te wys nie.

11 Ek sê dit nie omdat ek 'n te kort aan enigiets het nie, want ek het geleer om in alle omstandighede tevrede* te wees met wat ek het.^c **12** Ek weet hoe dit is om min te hê^d en ek weet hoe dit is om 'n oorfloed te hê.

In alles en in alle omstandighede het ek die geheim daarvan geleer om versadig te wees sowel as om honger te wees, om 'n oorfloed te hê sowel as om sonder iets klaar te kom. **13** Vir alles is ek sterk genoeg deur hom wat my krag gee.^e

14 Tog het julle goed gedoen deur my in my moeilike tye te help. **15** Om die waarheid te sê, Filippense, julle weet ook wat gebeur het nadat julle die goeie nuus vir die eerste keer gehoor het. Toe ek uit Masedo'nië vertrek het, het geen

4:11 *Of "vergenoeg".

HFST. 4

a Flp 3:17

b 2Kor 11:8, 9

c 1Ti 6:6, 8
Heb 13:5

d 1Kor 4:11
2Kor 6:4, 10
2Kor 11:27

e Jes 40:29
2Kor 4:7
2Kor 12:9, 10

Tweede kol.

a 2Kor 11:8, 9

b Flp 2:25

c Eks 29:18

d 2Kor 9:8

e Flp 1:12, 13

gemeente behalwe julle my gehelp of my hulp aanvaar nie.^a

16 Want terwyl ek in Tessalonia was, het julle nie net een keer vir my iets gestuur toe ek dit nodig gehad het nie, maar twee keer. **17** Dit is nie dat ek iets by julle wil hê nie, maar ek wil hê dat julle die seëninge moet ontvang wat julle geestelik nog ryker sal maak. **18** Ek het alles wat ek nodig het en selfs nog meer. Ek het oorgeoeg noudat Epafroditus^b die dinge vir my gebring het wat julle gestuur het, 'n aangename geur,^c 'n aanvaarbare offerande, wat deur God goedgekeur word. **19** En my God sal uit sy groot rykdom vir julle alles gee wat julle nodig het^d deur middel van Christus Jesus. **20** Aan ons God en Vader behoort die eer vir ewig en altyd. Amen.

21 Stuur groete vir elke heilige in eenheid met Christus Jesus. Die broers by my stuur vir julle groete. **22** Al die heiliges, maar veral dié van die huis van die keiser,^e stuur vir julle groete.

23 Mag die onverdiende goedheid van die Here Jesus Christus wees met die gees wat julle openbaar.

AAN DIE

KOLOSSENSE

OORSIG

- Groete (1, 2)
Dankbaar vir Kolossense se geloof (3-8)
Gebed vir geestelike groei (9-12)
Christus se sentrale rol (13-23)

- Paulus se harde werk vir gemeente (24-29)
- Heilige geheim van God, Christus (1-5)
Pasop vir bedrieërs (6-15)

Werklikheid behoort aan Christus (16-23)

- 3 Ou en nuwe persoonlikheid (1-17)
 'Maak dood julle liggaamsdele' (5)
 Liefde, 'n volmaakte band van eenheid (14)
 Raad vir Christelike huisgesinne (18-25)

- 4 Raad aan meesters (1)
 "Volhard in gebed" (2-4)
 Wyse gedrag teenoor buitestanders (5, 6)
 Groete (7-18)

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur God se wil, en van ons broer Timoteus.^a **2** Aan die heiliges en getroue broers in eenheid met Christus in Kolos'se:

Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader.

3 Ons dank God, die Vader van ons Here Jesus Christus, elke keer wanneer ons vir julle bid. **4** Ons doen dit, want ons het gehoor van julle geloof in Christus Jesus en die liefde wat julle vir al die heiliges het **5** weens die hoop wat in die hemel op julle wag.^b Julle het voorheen van hierdie hoop gehoor toe die boodskap van waarheid van die goeie nuus **6** julle bereik het. Die goeie nuus groei en versprei in die hele wêreld,^c en so ook onder julle, van die dag af dat julle die waarheid oor die onverdiende goedheid van God gehoor het en noukeurig leer ken het. **7** Dit is wat julle geleer het by ons geliefde medeslaaf E'pafraas,^d wat namens ons 'n getroue bedienaar van die Christus is. **8** Hy het ons ook vertel van die liefde wat die gees in julle voortbring het.*

9 Daarom het ons van die dag af dat ons daarvan gehoor

HFST. 1

a 1Kor 4:17

b 2Ti 4:8
 1Pe 1:3, 4

c Kol 1:23
 1Ti 3:16

d Kol 4:12, 13
 Flm 23

Tweede kol.

a Ef 1:15, 16

b Flp 1:9

c 2Ti 2:7
 1Jo 5:20

d Ef 1:17
 2Pe 1:2

e Ef 3:14, 16

f Ro 8:17
 Ef 1:13, 14

g Ef 2:1, 2

h Ef 1:7

i Joh 4:24
 Joh 10:30
 Joh 14:9
 1Ti 1:17

j Op 3:14

k Joh 1:3

het, nooit opgehou om vir julle te bid nie.^a Ons bid dat julle gevul mag word met die akkurate kennis^b van God se wil met alle wysheid en geestelike insig.^c **10** Dan sal julle kan lewe op 'n manier wat Jehovah* waardig is sodat julle hom in alles bly kan maak, terwyl julle aanhou om vrugte te dra in elke goeie werk en te groei in die akkurate kennis van God.^d **11** Ons bid ook dat God julle met sy glorieryke mag^e versterk sodat julle ten volle kan volhard met geduld en vreugde. **12** En doen dit terwyl julle die Vader dank, want hy het julle geskik gemaak om die erfenis te ontvang wat aan die heiliges behoort^f wat in die lig is.

13 Hy het ons gered uit die mag van die duisternis^g en ons oorgeplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun. **14** Deur hom ontvang ons bevryding deur 'n losprys, wat beteken dat ons sondes vergewe is.^h **15** Hy is die beeld van die onsigbare God,ⁱ die eersgeborene van die hele skepping,^j **16** want deur middel van hom is alle ander dinge in die hemel en op die aarde geskep, die sigbare dinge en die onsigbare dinge,^k of dit nou trone of heerskappye of regerings of owerhede is. Alle ander dinge is deur hom en

1:8 *Lett. "julle liefde in gees".

1:10 *Sien Aanh. A5.

vir hom geskep.^a **17** En hy het voor alle ander dinge bestaan,^b en deur middel van hom is alle ander dinge geskep, **18** en hy is die hoof van die liggaam, die gemeente.^c Hy is die begin, die eersgeborene uit die dood,^d sodat hy die een kon word wat in alles eerste is. **19** Want God het dit goedgevind om alle dinge in volle mate in hom te laat woon^e **20** en om deur hom alle ander dinge met homself te versoen.^f Hy het dit gedoen deur vrede te maak deur die bloed^g wat hy uitgestort het toe hy aan die folterpaal* gehang het, of dit nou die dinge op die aarde of die dinge in die hemel is.

21 Ja, julle was eens vreemd en vyande omdat julle verstande op goddelose dade gefokus was. **22** Maar nou het hy julle versoen deur middel van die dood van die een wat sy menslike* liggaam opgeoffer het sodat julle heilig en onbesmet en vry van enige beskuldiging voor hom kan wees.^h **23** Dan moet julle natuurlik in die geloof bly,ⁱ stewig gevestig op die fondament^j en standvastig,^k sonder om weggevat te word van die hoop van die goeie nuus wat julle gehoor het en wat verkondig is in die hele skepping wat onder die hemel is.^l Van hierdie goeie nuus het ek, Paulus, 'n bedienaar geword.^m

24 Ek is bly dat ek nou vir julle kan ly,ⁿ en ek voel dat ek nog in volle mate moet ly as 'n lid van die liggaam van Christus,^o naamlik die gemeente.^p **25** Ek het 'n bedienaar van hierdie gemeente geword omdat God ter wille van julle 'n bestuurderskap^q aan my gegee het om die

1:20 *Sien Woordelys. 1:22 *Lett. "vleeslike".

HFST. 1

- a Joh 1:10
Heb 1:2
b Joh 17:5
c Ef 1:22
d 1Kor 15:23
Op 1:5
e Kol 2:3, 9
f 2Kor 5:19
Ef 1:10
g Le 17:11
h 1Kor 1:8
i Op 2:10
j 1Kor 3:11
k 1Kor 15:58
Heb 3:14
l 1Ti 3:16
m Ef 3:8
n Ef 3:1
o Han 9:16
Flp 3:10
p Ef 1:22, 23
q 1Kor 9:16, 17

Tweede kol.

- a Ef 3:5-7
Ef 5:32
b Lu 8:10
1Kor 2:7
c Ro 16:25, 26
d Ef 3:8, 9
e Ro 8:18
f Ef 4:13
g Flp 4:13

HFST. 2

- h Kol 4:16
i 2Kor 1:6
j Kol 3:14
k 1Kor 2:7
Ef 3:5, 6
l 1Kor 1:30
1Kor 2:16
m 1Kor 14:40
n 1Kor 15:58
Heb 3:14

woord van God ten volle te verkondig. **26** Dit sluit die heilige geheim^a in wat gedurende die vroeëre tydperke^{*b} en geslagte geheim gehou is. Maar nou is dit aan sy heiliges geopenbaar.^c **27** God het die glorieryke rykdom van hierdie heilige geheim^d onder die nasies bekend gemaak. Hierdie geheim is Christus in eenheid met julle, wat die hoop het om saam met hom verheerlik te word.^e **28** Ons verkondig hom terwyl ons elke mens waarsku en met alle wysheid leer, sodat ons elke mens as 'n geestelik volwasse volgeling van Christus kan aanbied.^f **29** Hiervoor werk ek ook hard en span ek my in met sy krag, wat kragtig in my aan die werk is.^g

2 Ek wil hê dat julle moet besef hoe hard ek probeer om julle te help, sowel as dié in Laodise^a en almal wat my nog nie persoonlik* gesien het nie. **2** Ek hoop dat hulle harte vertrous kan wordⁱ en dat hulle in liefde harmonies saamgevoeg kan word.^j So sal hulle alle rykdom kan hê, dit wil sê 'n duidelike en goeie begrip met akkurate kennis van die heilige geheim van God, naamlik Christus.^k **3** In hom is al die skatte van wysheid en kennis sorgvuldig weggesteek.^l **4** Ek sê dit sodat niemand julle met oortuigende argumente kan mislei nie. **5** Al is ek nie fisies by julle nie, is ek in die gees by julle, en ek is bly om te sien hoe ordelik alles by julle verloop^m en hoe sterk julle geloof in Christus is.ⁿ

6 Aangesien julle Christus Jesus, die Here, aanvaar het,

1:26 *Of "stelsels van dinge". Sien Woordelys. 2:1 *Lett. "nie my aangesig in die vlees".

moet julle aanhou om in eenheid dieselfde weg as hy te volg. **7** Soos julle geleer het, moet julle in hom gewortel en opgebou word^a en stewig in die geloof gemaak word,^b en julle harte moet oorloop van dankbaarheid.^c

8 Pasop dat niemand julle vang* deur middel van filosofie en leë bedrog^d wat op die tradisies van mense gebaseer is, op die basiese^e dinge van die wêreld en nie op Christus nie. **9** En tog is al die eienskappe van God ten volle in hom.^e **10** As gevolg van hom, wat die hoof van alle regering en gesag is, het julle nie 'n tekort aan enigiets nie.*^f **11** Danksy hom is julle ook besny, nie deur hande nie, maar deurdat julle ontslae geraak het van die sondige liggaam.*^g Dit is die manier waarop knegte van Christus besny moet word.^h **12** Julle is saam met hom in sy doop begrawe,ⁱ en weens hom is julle ook saam opgewek^j deur julle geloof in die kragtige werk van God, wat hom uit die dood opgewek het.^k

13 Julle was ook dood in julle oortredings en was nie in die vlees besny nie, maar God het julle saam met hom lewend gemaak.^l Uit sy goedheid het hy al ons oortredings vergewe.^m **14** en die handgeskrewe dokumentⁿ uitgewis wat uit wette bestaan het^o en wat teen ons was.^p Hy het dit verwyder deur dit aan die folterpaal* vas te spyker.^q **15** Deur dit te doen, het hy die regerings en die owerhede verslaan en sy oorwinning in die openbaar bekend gemaak

2:8 *Of "julle as sy prooi wegdra". 2:8, 20 *Of "elementêre". 2:10 *Of "het julle 'n volheid verkry". 2:11 *Lett. "die liggaam van die vlees". 2:14 *Sien Woordelys.

HFST. 2

- a Ef 2:20
Ef 3:17
b Mt 7:24, 25
c Ef 5:20
1Te 5:18
d Ef 5:6
Heb 13:9
e Kol 1:19
f Ef 1:20, 21
1Pe 3:22
g Ro 6:6
h Ro 2:29
Flp 3:3
i Ro 6:4
j Ef 2:6
Kol 3:1
k Han 2:24
Ef 1:19, 20
l Ef 2:1, 5
m Han 2:38
n Eks 34:27
De 31:24-26
Heb 7:18
o Ef 2:14, 15
p Ro 7:10
Ga 3:10
q Ga 3:13
Heb 9:15
1Pe 2:24

Tweede kol.

- a 1Jo 5:4
Op 3:21
b Ro 14:3, 17
c Ps 81:3
d Ro 14:6
e Heb 8:5
Heb 10:1
f Joh 14:6
Heb 9:11, 12
g Flp 3:14
h Ef 1:22, 23
i Ef 2:21
Ef 4:16
j Ga 4:3
Kol 2:8
k Ef 2:15
Kol 2:14
l Mt 15:9
m 1Ti 4:3

HFST. 3

- n Ef 2:6

deur hulle in 'n oorwinningsop-tog te lei.^a

16 Laat niemand julle dus oordeel oor wat julle eet en drink^b of oor die viering van 'n fees of 'n nuwemaan^c of 'n sabbat nie.^d **17** Hierdie dinge is 'n skaduwee van die toekomstige dinge,^e maar die werklikheid behoort aan die Christus.^f **18** Moenie toelaat dat iemand wat maak asof hy nederig is en 'n vorm van engele-aanbidding doen, keer dat julle die prys ontvang nie.^g So iemand "neem stelling in oor"* die dinge wat hy gesien het, maar eintlik is hy sonder rede opgeblase van trots omdat hy op 'n vleeslike manier dink, **19** en hy hou op om die hoof te volg,^h die een wat die hele liggaam alles gee wat dit nodig het en dit deur die gewigte en ligamente harmonies saamvoeg en dit laat groei met die groei wat van God kom.ⁱ

20 As julle saam met Christus gesterf het ten opsigte van die basiese^e dinge van die wêreld,^j waarom lewe julle dan asof julle nog deel van die wêreld is deur gehoorsaam te wees aan wette soos:^k **21** "Moenie daaraan vat of proe of raak nie"? **22** Hierdie wette verwys na dinge wat vergaan nadat dit gebruik is. Dit is wette wat deur mense geleer word.^l **23** Hierdie dinge lyk dalk asof dit wysheid bevat, maar dit is 'n vorm van aanbidding wat mense self gekies het en 'n valse nederigheid, wat die liggaam laat ly.^m Hierdie dinge help 'n mens glad nie in die stryd teen vleeslike begeertes nie.

3 As julle egter saam met die Christus opgewek is,ⁿ moet julle aanhou soek na die dinge

2:18 *Aangehaal uit geheime heidense inwydingsritusse.

wat daar bo is, waar die Christus aan die regterhand van God sit.^a **2** Bly dink aan die dinge daar bo,^b nie aan die dinge op die aarde nie.^c **3** Want julle het gesterf, en julle lewens is in die hande van die Christus in eenheid met God. **4** Wanneer die Christus, ons lewe,^d openbaar gemaak word, sal julle ook saam met hom in heerlijkheid openbaar gemaak word.^e

5 Maak dan dood julle liggaamsdele^f wat op die aarde is ten opsigte van seksuele onsedelikheid,^g onreinheid, onbeheerste seksuele begeertes,^g skadelike begeertes en gierigheid, wat afgodediens is. **6** As gevolg van hierdie dinge sal die woede van God kom. **7** Julle het dieselfde dinge gedoen* in julle vorige lewenswyse.^h **8** Maar nou moet julle ontslae raak van al hierdie dinge: woede, slegtheid,ⁱ beledigende taal^j en vuil praatjies^k uit julle mond. **9** Moenie vir mekaar lieg nie.^l Trek die ou persoonlikheid* met sy gebruike uit,^m **10** en trek die nuwe persoonlikheid aan,ⁿ wat deur akkurate kennis nuut gemaak word volgens die beeld van die Een wat dit geskep het,^o **11** waar daar nie Griek of Jood, besnydenis of onbesnedenheid, uitlander, Skitiër,* slaaf of vryman is nie. Maar Christus is alles en in al.^p

12 Aangesien julle deur God uitgekies is^q en heilig en gelief is, moet julle die volgende eienskappe betoon:* intense medelye,^r goedhartigheid, nede-

3:5 *Griekse: *por-nei'a*. Sien Woordelys. **3:7** *Of "ook so gewandel". **3:9** *Lett. "mens". **3:11** *"Skitiër" het na 'n onbeskaafde mens verwys. **3:12, 14** *Of "julle met . . . beklee". **3:12** *Sien Woordelys.

HFST. 3

a Ps 110:1
1Pe 3:22
b Flp 3:20
Flp 4:8
1Pe 1:13
c 1Jo 2:15
d Joh 11:25
e 1Kor 15:42,43
f Mr 9:43
Ga 5:24
g 1Kor 6:18
Ef 5:3
h 1Kor 6:9-11
Ef 2:3
Tit 3:3
i 1Pe 2:1
j Ef 4:31
k Ef 5:3, 4
l Ef 4:25
Op 21:8
m Ef 4:22
n Ro 12:2
Ef 4:24
o Ge 1:26, 27
1Pe 1:16
p Ga 3:28
q 1Pe 2:9
r Flp 2:1, 2

Tweede kol.

a Ro 12:16
b Tit 3:2
c Ef 4:1, 2
1Te 5:14
d Spr 19:11
Ef 4:32
1Pe 4:8
e Mt 18:15
f Mt 6:14
Mr 11:25
g 1Jo 3:23
h 1Kor 13:4-7
i Joh 14:27
Flp 4:7
j 1Kor 14:26
k Ef 5:19
l 1Kor 10:31
m Ef 5:22
1Pe 3:1
n Ef 5:25
1Pe 3:7
o Ef 4:31
p Spr 6:20
Lu 2:51
Ef 6:1
q Ef 6:4

righeid,^{*a} sagmoedigheid^b en geduld.^c **13** Hou aan om mekaar te verdra en mekaar vryelik te vergewe,^d selfs al het iemand 'n rede om oor iemand anders te kla.^e Net soos Jehovah* julle vryelik vergewe het, so moet julle ook vergewe.^f **14** Maar behalwe al hierdie dinge moet julle liefde betoon,^{*g} want dit is 'n volmaakte band van eenheid.^h

15 En laat die vrede van die Christus in julle harte regeer,^{*i} want julle is in een liggaam tot daardie vrede geroep. En toon dat julle dankbaar is. **16** Laat die woord van die Christus in alle wysheid ryklik in julle woon. Hou aan om mekaar te leer en aan te moedig[#] met psalms,^j lofliedere tot God, geestelike liedere wat met dankbaarheid gesing word, terwyl julle in julle harte vir Jehovah* sing.^k **17** Wat julle ook al sê of doen, doen alles in die naam van die Here Jesus, terwyl julle God, die Vader, deur hom dank.^l

18 Vrouens, wees onderdanig aan julle mans,^m want dit is reg in die oë van die Here. **19** Mans, hou aan om julle vrouens lief te hêⁿ en moenie vir hulle bitter kwaad wees* nie.^o **20** Kinders, wees in alles gehoorsaam aan julle ouers,^p want dit maak die Here se hart bly. **21** Pa's, moenie julle kinders irriteer* nie,^q sodat hulle nie moedeloos* word nie. **22** Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle aardse*

3:12 *Of "nederigheid van verstand". **3:13, 16** *Sien Aanb. A5. **3:15** *Of "julle harte beheer". **3:16** *Of "ernstig te vermaan". **3:19** *Of "hulle sleg behandel". **3:21** *Of "kwaad maak; treiter". *Of "mismoedig". **3:22** *Lett. "vleslike".

meesters,^a nie net om hulle tevrede te stel wanneer julle dopgehou word nie, maar met opregte harte, met vrees vir Jehovah.* **23** Wat julle ook al doen, doen dit met julle hele siel[#] soos vir Jehovah*^b en nie vir mense nie, **24** omdat julle weet dat julle die erfenis as 'n beloning van Jehovah* sal ontvang.^c Dien die Meester, Christus, soos slawe. **25** Die een wat verkeerde dinge doen, sal beslis terugbetaal word vir wat hy gedoen het,^d want God oordeel almal volgens dieselfde standaard.^e

4 Meesters, behandel julle slawe op 'n regverdige en eerlike manier, want julle weet dat julle ook 'n Meester in die hemel het.^f

2 Volhard in gebed.^g Bly wakker daarin en dank God.^h **3** Bid dan ook vir ons,ⁱ dat God 'n deur vir die woord sal oopmaak sodat ons die heilige geheim omtrent die Christus kan bekend maak waarvoor ek 'n gevangene is,^j **4** en sodat ek dit so duidelik kan verkondig soos wat ek moet.

5 Hou aan om julle op 'n wyse manier te gedra teenoor buitelanders, en gebruik julle tyd op die beste manier moontlik.*^k **6** Laat julle woorde altyd aangenaam wees, smaaklik gemaak met sout,^l sodat julle kan weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.^m

7 Ti'gikus,ⁿ my geliefde broer en getroue dienaar en medeslaaf in die Here, sal julle al die nuus oor my vertel. **8** Ek stuur hom na julle toe sodat julle kan weet hoe dit met ons

3:22-24 *Sien Aanhang. A5. 3:23 #Sien Woordelys. 4:5 *Of "koop die vasgestelde tyd uit".

HFST. 3

a Ef 6:5, 6
Tit 2:9
1Pe 2:18

b Lu 10:27
Ro 12:11

c Ef 6:8
1Pe 1:3, 4

d Ro 2:6
Ga 6:7

e Ro 2:11
1Pe 1:17

HFST. 4

f Ef 6:9

g Lu 18:1
Ro 12:12
Ef 6:18

h Kol 3:15
1Te 5:18

i Ro 15:30

j Ef 6:19, 20
Flp 1:7

k Ef 5:15, 16

l Mt 5:13
Mr 9:50

m 1Pe 3:15

n Ef 6:21, 22

Tweede kol.

a Flm 10

b Han 19:29
Han 20:4
Han 27:2

c Han 12:12
Han 15:37
Flm 23, 24

d Ro 15:7

e Kol 1:7, 8

f Lu 1:3
Han 1:1

g Flm 23, 24

h Ro 16:5
1Kor 16:19

i 1Te 5:27

j Flm 1, 2

k 2Te 3:17

l Flp 1:7
Flm 9

gaan en sodat hy julle harte kan vertrou. **9** Hy kom saam met One'simus,^a my getroue en geliefde broer, wat van julle af kom. Hulle sal julle van al die dinge vertel wat hier gebeur.

10 Aristar'gus,^b my medegevangene, stuur vir julle groete, en so ook Markus,^c die neef van Bar'nabas (oor wie julle instruksies ontvang het om hom te verwelkom^d as hy ooit na julle toe kom), **11** en Jesus, wat Justus genoem word en een van die manne is wat besny is. Net hulle is my medewerkers vir die Koninkryk van God, en hulle het vir my 'n bron van groot vertroosting* geword. **12** E'pafras,^e 'n slaaf van Christus Jesus wat van julle af kom, stuur vir julle groete. Hy bid altyd intens vir julle sodat julle uiteindelik as geestelik volwasse persone en met volle oortuiging kan vasstaan in die hele wil van God. **13** Ek getuig oor hom dat hy groot moeite doen vir julle en vir dié in Laodise'a en Hiëra'polis.

14 Lukas,^f die geliefde dokter, stuur vir julle groete, en Demas^g ook. **15** Stuur groete vir die broers in Laodise'a en vir Nimfa en vir die gemeente in haar huis.^h **16** Wanneer hierdie brief by julle gelees is, moet julle reël dat dit ook in die gemeente in Laodise'a gelees wordⁱ en dat julle ook die een uit Laodise'a lees. **17** Sê ook vir Argip'pus:^j "Skenk aandag aan die bediening wat jy in die Here aanvaar het, sodat jy dit kan vervul."

18 Hier is my groete, Paulus s'n, wat ek met my eie hand skryf.^k Dink aan my hier in die tronk.^l Mag die onverdiende goedheid met julle wees.

4:11 *Of "versterking".

DIE EERSTE BRIEF AAN DIE
TESSALONISENSE

O O R S I G

- | | |
|---|---|
| <p>1 Groete (1)
Dankbaar vir Tessalonisense se geloof (2-10)</p> <p>2 Paulus se bediening in Tessalonika (1-12)
Tessalonisense het God se woord aanvaar (13-16)
Paulus verlang na die Tessalonisense (17-20)</p> <p>3 Paulus wag in spanning in Atene (1-5)
Timoteus se gerusstellende nuus (6-10)
Gebed vir die Tessalonisense (11-13)</p> | <p>4 Waarskuwing teen seksuele onsedelikheid (1-8)
Wees nog liewer vir mekaar (9-12)
‘Hou julle met julle eie sake besig’ (11)
Dooies in eenheid met Christus sal eerste opstaan (13-18)</p> <p>5 Koms van Jehovah se dag (1-5)
“Vrede en veiligheid!” (3)
Bly wakker en helder van verstand (6-11)
Aansprings (12-24)
Groete (25-28)</p> |
|---|---|

1 Van Paulus, Silva'nus*^a en Timo'teus.^b Aan die gemeente van die Tessalonisense in eenheid met God, die Vader, en die Here Jesus Christus:

Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê.

2 Ons dank God altyd wanneer ons julle almal in ons gebede noem,^c **3** want ons dink altyd aan julle getroue werk, julle liefdevolle arbeid en julle volharding as gevolg van julle hoop^d op ons Here Jesus Christus in die teenwoordigheid van ons God en Vader. **4** Broers, God is lief vir julle, en ons weet dat hy julle uitgekies het **5** omdat die goeie nuus wat ons verkondig, julle nie net met woorde bereik het nie, maar ook met krag en heilige gees en sterk oortuiging. Julle weet watter soort mense ons vir julle geword het toe ons by julle was. **6** Julle het navolgers van ons^e en van die Here geword,^f aangesien julle die woord in

HFST. 1

a Han 15:22
1Pe 5:12

b Han 16:1, 2

c 2Te 1:11, 12

d 1Pe 1:3, 4

e 1Kor 11:1
Flp 3:17
2Te 3:9

f 1Pe 2:21

Tweede kol.

a 1Te 2:14

b 2Te 1:4

c 1Kor 10:14
1Kor 12:2
Ga 4:8
1Jo 5:21

d Han 1:10, 11
Tit 2:13

e 1Te 5:2
2Pe 3:12

HFST. 2

f Han 17:1, 4

g Han 16:12
Han 16:22-24

baie moeilike omstandighede^a met vreugde van die heilige gees aanvaar het. **7** So het julle 'n voorbeeld vir al die gelowiges in Masedo'nië en Aga'je geword.

8 Ja, as gevolg van julle is die woord van Jehovah* nie net in Masedo'nië en Aga'je gehoor nie, maar julle geloof in God het oral, op elke plek,^b bekend geword, sodat dit nie vir ons nodig is om enigiets te sê nie. **9** Want hulle bly praat oor ons eerste ontmoeting met julle en oor hoe julle julle afgode verlaat^c het om 'n lewende en ware God as slawe te dien **10** en om te wag vir sy Seun uit die hemel,^d wat hy uit die dood opgewek het, naamlik Jesus, wat ons red van die woede wat kom.^e

2 Julle weet self, broers, dat ons besoek aan julle nie sonder resultate was nie.^f **2** Want soos julle weet, het ons in Filip'pi^g gely en is ons verneder, maar met die hulp van ons God

1:1 *D.w.s. Silas.

1:8 *Sien Aanh. A5.

het ons die moed* bymekaarge-skraap om julle die goeie nuus van God te vertel,^a al het ons groot teenstand ondervind.[#]

3 Want die aansporing wat ons gee, is nie op verkeerde idees of onreinheid of bedrog gebaseer nie. **4** Maar omdat God ons goedgekeur het en aan ons die goeie nuus gegee het om bekend te maak, praat ons nie om mense tevrede te stel nie, maar God, wat ons harte ondersoek.^b

5 Om die waarheid te sê, julle weet dat ons nooit vlejende woorde gebruik het of gierige motiewe^c gehad het wat ons probeer wegsteek het nie. God is ons getuie! **6** Ons het ook nie die eer van mense gesoek nie, nie by julle of by ander nie, al kon ons as apostels van Christus 'n duur las gewees het.^d **7** Ons het julle eerder liefdevol en saggies behandel, soos wanneer 'n ma* haar eie kinders liefdevol versorg. **8** Ons was so geheg aan julle dat ons nie net die goeie nuus van God aan julle wou gee nie, maar ook ons lewe,^e want ons het so lief geword vir julle.^f

9 Broers, julle onthou sekerlik ons harde werk en hoe ons ons ingespan het. En toe ons die goeie nuus van God aan julle verkondig het, het ons dag en nag gewerk om nie 'n duur las vir enigeen van julle te wees nie.^g **10** Julle is getuies, God is ook, van hoe lojaal en regverdig ons ons teenoor julle, die gelowiges, gedra het. Niemand kan ons van enigiets beskuldig nie. **11** Julle weet goed dat ons aangehou het om elkeen van julle aan te spoor, te vertroos en te leer,^h net soos 'n pa' met sy kinders doen, **12** sodat

2:2 *Of "vrymoedigheid". #Of moontlik "al het ons baie gesukkel". 2:7 *Of "sogende ma".

HFST. 2

a Han 17:1, 2

b Spr 17:3
Jer 11:20

c Han 20:33

d 2Kor 11:9
2Te 3:8,10

e Joh 15:13

f Joh 13:35

g Han 18:3
Han 20:34
2Kor 11:9
2Te 3:8,10

h Han 20:31

i 1Kor 4:15

Tweede kol.

a Ef 4:1
Kol 1:10
1Pe 1:15

b Lu 22:28-30

c 1Pe 5:10

d 1Te 1:2, 3

e Han 17:5

f Mt 23:34
Han 2:22, 23
Han 7:52g Lu 11:52
Han 13:49, 50

h Ro 1:18

i 1Te 5:23
2Te 1:4

julle kan voortgaan om te lewe op 'n manier wat God waardig is.^a Hy roep julle om in sy Koninkryk^b te deel en saam met hom verheerlik te word.^c

13 Ja, daarom dank ons God ook sonder ophou,^d want toe julle God se woord ontvang het, wat julle by ons gehoor het, het julle dit nie as die woord van mense aanvaar nie. Nee, julle het dit aanvaar vir wat dit waarlik is, die woord van God, wat ook in julle, die gelowiges, aan die werk is. **14** Want broers, julle het die voorbeeld gevolg van die gemeentes van God in Jude'a, wat in eenheid met Christus Jesus is, omdat julle eie mense^e julle ook dieselfde dinge laat ly het as wat die Jode die broers in Jude'a laat ly. **15** Die Jode het selfs die Here Jesus en die profete doorgemaak en ons vervolgt.^f Wat meer is, hulle het nie God se goedkeuring nie, en wat hulle doen, bring slegte gevolge vir almal, **16** want hulle probeer keer dat ons aan die mense van die nasies die boodskap verkondig waardeur hulle gered kan word.^g Op hierdie manier vermeerder hulle altyd hulle sondes. Maar God se woede het uiteindelik oor hulle gekom.^h

17 Maar broers, toe ons 'n kort rukkie van julle geskei was (in persoon, nie in die hart nie), het ons alles in ons vermoë gedoen om julle* weer te sien omdat ons so na julle verlang het. **18** Daarom wou ons na julle toe kom. Ek, Paulus, het selfs twee keer probeer, maar Satan het ons gekeer. **19** Want wat is ons hoop of vreugde of kroon van blydschap voor ons Here Jesus by sy teenwoordigheid? Is dit nie julle nie?ⁱ **20** Julle is beslis ons heerlikheid en vreugde.

2:17 *Lett. "julle aangesig".

3 Toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons gedink dat dit beter is om alleen in Ate-ne agter te bly.^a **2** Ons het Timo'teus,^b ons broer en God se bedienaar* in die goeie nuus oor die Christus, gestuur om julle standvastig te maak^c en julle in julle geloof te vertroos, **3** sodat niemand deur hierdie moeilike tye verswak word* nie. Want julle weet self dat ons nie hierdie dinge kan vermy nie.^c **4** Want toe ons by julle was, het ons julle vooraf gesê dat ons deur moeilike tye sal gaan, en dit is ook wat gebeur het, soos julle weet.^d **5** Daarom het ek, toe ek dit nie langer kon uithou nie, iemand gestuur om uit te vind oor julle getrouheid.^e Want ek was bang dat die Versoeker^f julle miskien op die een of ander manier versoek het en dat ons harde werk dalk verniet was.

6 Maar Timo'teus het so pas van julle af by ons aangekom^g en het ons die goeie nuus oor julle getrouheid en liefde vertel. Hy het vir ons gesê dat julle nog steeds goeie herinneringe van ons het en dat julle ons graag wil sien, net soos ons ook vir julle wil sien. **7** Daarom, broers, is ons in al ons swaarkry* en moeilike tye vertroos as gevolg van julle en die getrouheid wat julle toon.^h **8** Want ons kry nuwe krag* as julle vasstaan in die Here. **9** Want hoe kan ons God ooit bedank vir julle en vir al die vreugde wat ons teenoor ons God het as gevolg van julle? **10** Ons bid dag en nag ernstig en smee God sodat ons julle kan sien en julle kan

3:2 *Of moontlik "en God se medewerker". #Of "te versterk". 3:3 *Of "wankel". #Of "dat ons hiertoe bestem is". 3:7 *Lett. "nood". 3:8 *Lett. "Want ons lewe".

HFST. 3

a Han 17:15

b Han 16:1, 2
Ro 16:21
1Kor 16:10c Han 14:22
1Kor 4:9
1Pe 2:21

d 1Te 2:14

e 1Te 3:2

f Mt 4:3
2Kor 11:3

g Han 18:5

h 2Te 1:4

Tweede kol.

a 2Te 1:3

b 1Te 4:9
2Te 1:3

c 1Kor 1:8

d 1Te 2:9
1Te 5:23
2Te 2:1, 2

HFST. 4

e Kol 1:10
1Pe 2:12f Joh 17:19
Ef 5:25-27
2Te 2:13
1Pe 1:15, 16

g Ef 5:3

h Kol 3:5
2Ti 2:22

i Ro 6:19

j 1Kor 6:18
Ef 5:5k Ps 79:6
Ef 4:17, 19
1Pe 4:3l Heb 12:14
1Pe 1:15, 16

help met wat julle nodig het om julle geloof te versterk.^a

11 Mag ons God en Vader en ons Here Jesus dit vir ons moontlik maak om julle te kom sien. **12** En mag die Here julle laat toeneem, ja, julle oorfloedig laat wees, in liefde teenoor mekaar^b en teenoor almal, net soos ons ook lief is vir julle, **13** sodat hy julle harte standvastig kan maak, rein en heilig voor ons God^c en Vader by die teenwoordigheid van ons Here Jesus^d met al sy heiliges.

4 Broers, julle het by ons geleer wat julle moet doen om te lewe soos God graag wil hê julle moet lewe,^e en dit is wel hoe julle lewe. Maar nou vra ons julle en smeek ons julle in die naam van die Here Jesus om dit nog meer te doen. **2** Want julle ken die instruksies* wat ons deur die Here Jesus aan julle gegee het.

3 Want die wil van God is dat julle heilig moet wees^f en van seksuele onsedelikheid* moet wegbly.^g **4** Elkeen van julle moet weet hoe om sy eie liggaam*^h in heiligheidⁱ en eer onder beheer te hou. **5** Moet julle nie laat lei deur gierige, onbeheerste seksuele begeertes/soos die nasies wat God nie ken nie.^k **6** Niemand moet te ver gaan en sy medegelowige* in hierdie opsig misbruik nie, want Jehovah[#] straf mense wat hierdie dinge doen, soos ons voorheen vir julle gesê het en julle ook uitdruklik gewaarsku het. **7** Want God het ons nie vir onreinheid geroep nie, maar vir heiligheid.^l **8** Die persoon wat hierdie waarskuwings verwerp, verwerp dus nie 'n mens nie,

4:2 *Of "bevele". 4:3 *Grieks: *porneia*. Sien Woordelys. 4:4 *Lett. "houer". 4:6 *Lett. "broer". #Sien Aanh. A5.

maar God,^a wat sy heilige gees aan julle gee.^b

9 Maar wanneer dit by broederliefde kom,^c is dit nie vir ons nodig om aan julle te skryf nie, want julle word deur God geleer om mekaar lief te hê.^d **10** Om die waarheid te sê, julle doen dit teenoor al die broers in die hele Masedo'nië. Maar broers, ons spoor julle aan om dit nog meer te doen. **11** Stel vir julle die doelwit om rustig te lewe^e en om julle met julle eie sake besig te hou^f en met julle hande te werk,^g net soos ons vir julle gesê het, **12** sodat mense wat buite is, kan sien dat julle julle ordentlik gedra^h en niks nodig het nie.

13 Wat meer is, broers, ons wil nie hê dat julle oningelig* moet wees oor dié wat slaap in die dood nie,ⁱ sodat julle nie treur soos die res, wat geen hoop het nie.^j **14** Want as ons geloof het dat Jesus gesterf het en weer opgestaan het,^k dan het ons ook geloof dat God dié saam met hom sal bring wat deur Jesus gesterf het.^l **15** Want ons sê vir julle deur Jehovah* se woord dat ons wat tot die teenwoordigheid van die Here bly lewe, glad nie na die hemel sal opgaan voor dié wat gesterf het nie. **16** Want die Here self sal uit die hemel neerdaal met 'n bevelende roep, met 'n aartsengel^m se stem en met God se trompet, en dié wat dood is in eenheid met Christus, sal eerste opstaan.ⁿ **17** Daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle in wolke weggeneem word^o om die Here in die lug te ontmoet,^p en so sal ons altyd by die Here wees.^q **18** Hou dus aan om mekaar met hierdie woorde te vertroos.

4:13 *Of "onkundig". 4:15; 5:2 *Sien Aanh. A5.

HFST. 4

- a 1Kor 6:18, 19
- b 1Jo 3:24
- c Ro 12:10
- d Joh 13:34, 35
- 1Pe 1:22
- 1Jo 4:21
- e 2Te 3:11, 12
- f 1Pe 4:15
- g 1Kor 4:11, 12
- Ef 4:28
- 2Te 3:10
- 1Ti 5:8
- h Ro 12:17
- i Joh 11:11
- Han 7:59, 60
- 1Kor 15:6
- j 1Kor 15:32
- k Ro 14:9
- 1Kor 15:3, 4
- l 1Kor 15:22, 23
- Flp 3:20, 21
- 2Te 2:1
- Op 20:4
- m Jud 9
- n 1Kor 15:51, 52
- o Han 1:9
- p 2Te 2:1
- q Joh 14:3
- Joh 17:24
- 2Kor 5:8
- Flp 1:23
- Op 20:6

Tweede kol.

HFST. 5

- a Sef 1:14
- b Mt 24:36
- 2Pe 3:10
- c Ps 37:10
- Jer 8:11
- d Joh 12:36
- Ro 13:12
- Ef 5:8
- e Joh 8:12
- Kol 1:13
- 1Pe 2:9
- f Ro 13:11
- g Mt 24:42
- h 1Pe 5:8
- i Ro 13:13
- j Ef 6:14-17
- k 2Te 2:13
- l Ro 5:8
- m 1Te 4:16, 17
- n Ro 1:11, 12
- Ro 15:2
- o Flp 2:29, 30
- 1Ti 5:17
- Heb 13:7

5 En wanneer dit by die tye en die tydperke kom, broers, hoef ons nie aan julle te skryf nie. **2** Want julle weet goed dat Jehovah* se dag^a net soos 'n dief in die nag kom.^b **3** Wanneer hulle ook al sê: "Vrede en veiligheid!" sal skielike vernietiging onverwags oor hulle kom,^c net soos geboortepyne oor 'n swanger vrou, en hulle sal glad nie kan ontsnap nie. **4** Maar broers, julle is nie in die duisternis sodat daardie dag onverwags oor julle sal kom soos dit oor 'n dief sal kom nie. **5** want julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag.^d Ons behoort nie aan die nag of aan die duisternis nie.^e

6 Laat ons dus nie aanhou slaap soos die res nie,^f maar laat ons wakker^g en helder van verstand bly.^h **7** Want dié wat slaap, slaap in die nag, en dié wat dronk word, is dronk in die nag.ⁱ **8** Maar laat ons wat aan die dag behoort, helder van verstand bly en die borsplaat van geloof en liefde aansit en die hoop op redding as 'n helm dra.^j **9** want God het ons nie gekies om sy woede te ondervind nie, maar om deur middel van ons Here Jesus Christus gered te word.^k **10** Hy het vir ons gesterf,^l sodat ons, of ons nou wakker bly of slaap,* saam met hom sou lewe.^m **11** Hou dus aan om mekaar aan te moedig* en mekaar op te bou,ⁿ net soos julle ook reeds doen.

12 Broers, ons vra julle om respek te hê vir dié wat hard onder julle werk en die leiding onder julle neem in die Here en julle raad gee, **13** en om buitengewone waardering en liefde vir hulle te hê as gevolg van hulle werk.^o Wees vreed-

5:10 *Of "in die dood slaap". 5:11 *Of "te vertroos".

saam teenoor mekaar.^a **14** Aan die ander kant spoor ons julle aan, broers: Waarsku* dié wat ongehoorsaam^a is,^b praat vertroostend met dié wat terneergedruk^a is, ondersteun dié wat swak is, wees geduldig met almal.^c **15** Sorg dat julle nie iets slegs aan iemand doen wat iets slegs aan julle gedoen het nie,^d maar probeer altyd om te doen wat goed is teenoor mekaar en teenoor alle ander mense.^e

16 Wees altyd bly.^f **17** Bid sonder ophou.^g **18** Wees dankbaar vir alles.^h Dit is God se wil vir julle in eenheid met Christus Jesus. **19** Moenie die vuur van die gees blus nie.ⁱ **20** Moenie 'n gebrek aan respek hê vir profesieë nie.^j **21** Maak seker van alles,^k en hou vas aan wat goed

5:14 *Of "vermaan". #Lett. "wanordelik". ^aOf "mismoedig; depressief".

HFST. 5

a Mr 9:50

2Kor 13:11

b Le 19:17

2Ti 4:2

c 1Kor 13:4

Ga 5:22

Ef 4:1, 2

Kol 3:13

d Mt 5:39

e Ro 12:17, 19

f 2Kor 6:4, 10

Flp 4:4

g Lu 18:1

Ro 12:12

h Ef 5:20

Kol 3:17

i Ef 4:30

j 1Kor 14:1

k 1Jo 4:1

Tweede kol.

a Job 2:3

b 1Kor 1:8

c Ro 15:30

d Kol 4:16

is. **22** Bly weg van elke vorm van goddeloosheid.^a

23 Mag die God van vrede julle ten volle heilig. En broers, mag julle gees en siel* en liggaam in elke opsig rein en sonder gebrek wees gedurende die teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus.^b **24** Hy wat julle roep, is getrou, en hy sal dit sekerlik doen.

25 Broers, hou aan om vir ons te bid.^c

26 Groet al die broers met 'n heilige soen.

27 Ek plaas julle onder 'n ernstige verpligting in die naam van die Here dat hierdie brief aan al die broers gelees moet word.^d

28 Mag die onverdiende goedheid van ons Here Jesus Christus met julle wees.

5:23 *Of "Iewe". Sien Woordelys.

DIE TWEDE BRIEF AAN DIE

TESSALONISENSE

OORSIG

- 1 Groete (1, 2)
Tessalonisense se geloof groei (3-5)
Wraak op ongehoorsames (6-10)
Gebed vir die gemeente (11, 12)
- 2 Mens van wetteloosheid (1-12)

Aansporing om standvastig te wees (13-17)

- 3 Hou aan bid (1-5)
Waarskuwing teen wanordelike gedrag (6-15)
Groete (16-18)

1 Van Paulus, Silva'nus* en Timo'teus.^a Aan die gemeente van die Tessalonisense in eenheid met God, ons Vader, en die Here Jesus Christus:

1:1 *D.w.s. Silas.

HFST. 1

a 2Kor 1:19

2 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, die Vader, en van die Here Jesus Christus.

3 Ons is verplig om God altyd vir julle te dank, broers. Dit is gepas omdat julle geloof groei

en al hoe sterker word en julle liefde vir mekaar toeneem.^a **4** Ons praat dus met trots van julle^b in die gemeentes van God as gevolg van julle volharding en geloof ten spyte van al die vervolging en moeilike tye wat julle deurmaak.^c **5** Dit alles bewys dat God regverdig oordeel, en dit lei daartoe dat julle waardig bevind word vir die Koninkryk van God, waarvoor julle ly.^d

6 Dit is regverdig van God om dié wat julle onderdruk, met onderdrukking te straf.^e **7** Maar julle wat onderdruk word, sal saam met ons verligting ontvang by die openbaring van die Here Jesus^f vanuit die hemel met sy magtige engele^g **8** in 'n vlammeende vuur, wanneer hy wraak neem op dié wat God nie ken nie en dié wat nie die goeie nuus oor ons Here Jesus gehoorsaam nie.^h **9** Hierdie selfde mense sal as regterlike straf vir ewig vernietig word,ⁱ ver van die Here en van sy groot krag af. **10** Dit sal gebeur op die dag wanneer hy kom om geëer te word in verband met sy heiliges en om bewonder te word deur almal wat geloof beoefen het, want julle het geloof beoefen in die getuienis wat ons gegee het.

11 Daarom bid ons altyd vir julle. Ons vra dat ons God julle sal beskou as persone wat sy roeping waardig is^j en dat hy met sy krag al die goeie dinge sal uitvoer wat hy vir julle wil doen en dat hy julle dade van geloof suksesvol sal maak. **12** Dit is sodat die naam van ons Here Jesus in julle geëer kan word, en julle in eenheid met hom, volgens die onverdiende goedheid van ons God en van die Here Jesus Christus.

2 Broers, ons wil julle die volgende vra oor die teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus^k en die tyd wanneer

HFST. 1

a 1Te 3:12
1Te 4:9,10

b 1Te 2:19

c 1Te 1:6
1Te 2:14
1Pe 2:21

d Han 14:22
Ro 8:17
2Ti 2:12

e Ro 12:19
Op 6:9,10

f Lu 17:29,30
1Pe 1:7

g Mr 8:38

h Ro 2:8

i 2Pe 3:7

j Ro 8:30

HFST. 2

k Mt 24:3

Tweede kol.

a 1Te 4:17

b Sef 1:14
2Pe 3:10

c 1Jo 4:1

d 1Ti 4:1
2Ti 2:16-18
2Ti 4:3
2Pe 2:1
1Jo 2:18,19

e Mt 7:15
Han 20:29,30

f 2Pe 2:1,3

g Han 20:29,30
1Kor 11:18,19
1Jo 2:18

h Jes 11:4
Op 19:15

i 1Ti 6:13-15
2Ti 4:1,8

j 2Kor 11:3

k Mt 24:24

l Mt 24:11

ons by hom bymekaar gebring word:^a **2** Moenie gou deurmekeer of paniekerig gemaak word deur 'n bewering dat die dag van Jehovah^{*b} hier is nie, of dit nou 'n profesie^{*c} is of 'n boodskap wat mondeling oorgedra word of 'n brief wat lyk asof dit van ons af kom.

3 Laat niemand julle op enige manier mislei* nie, want voordat daardie dag kom, moet die afvalligheid eers kom^d en die mens van wetteloosheid^e geopenbaar word, die seun van vernietiging.^f **4** Hy is 'n teenstander en verhoog homself bo elke sogenaamde god en alles wat aanbid* word, en hy gaan sit in die tempel van God en vertoon homself in die openbaar as 'n god. **5** Onthou julle nie dat ek hierdie dinge vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?

6 En nou weet julle wat die mens van wetteloosheid terughou sodat hy eers op die vasgestelde tyd geopenbaar sal word. **7** Hierdie wetteloosheid is reeds in die geheim aan die werk,^g maar net totdat hy wat die wetteloosheid op die oomblik terughou, nie meer in die pad staan nie. **8** Dan sal die mens van wetteloosheid wel geopenbaar word. Die Here Jesus sal hom deur die gees van sy mond^h vernietig en deur die openbaringⁱ van sy teenwoordigheid van hom ontslae raak. **9** Maar die teenwoordigheid van die mens van wetteloosheid is Satan se werk,^j met allerhande kragtige werke en misleidende tekens en wonderwerke^k **10** en allerhande onregverdige bedrog,^l wat bedoel is vir dié wat vernietig gaan word. Hulle verdien dit omdat

2:2 *Sien Aanh. A5. *Of "geïnspireerde woorde; 'n gees". Sien Woordelys, "Gees". 2:3 *Of "verlei". 2:4 *Of "vereer".

hulle nie die waarheid aanvaar en liefgekry het sodat hulle gered kan word nie. **11** Daarom laat God toe dat hulle deur 'n bedrieglike invloed mislei word, sodat hulle die leuen sal glo.^a **12** en sodat hulle almal geoordeel kan word omdat hulle nie die waarheid geglo het nie, maar lief was vir onregverdigheid.

13 Ons is egter verplig om God altyd vir julle te dank, broers vir wie Jehovah* lief is. God het julle as gevolg van julle geloof in die waarheid van die begin af vir redding gekies^b deur julle met sy gees te heilig.^c **14** Hy het julle hiervoor geroep deur die goeie nuus wat ons bekend maak, sodat julle soos ons Here Jesus Christus verheerlik kan word.^d **15** Staan dan vas^e en hou vas aan die tradisies wat aan julle geleer is,^f broers, of dit nou deur 'n boodskap was wat mondeling oorgedra is of deur 'n brief van ons af. **16** Mag ons Here Jesus Christus self en God, ons Vader, wat ons liefgehad het^g en wat deur middel van onverdiende goedheid ewige vertroosting en goeie hoop^h gegee het, **17** julle harte vertroos en julle standvastig maak* in elke goeie ding wat julle sê en doen.

3 Laastens, broers, hou aan om vir ons te bid,ⁱ dat die woord van Jehovah* sal aanhou om vinnig te versprei^j en verheerlik sal word, net soos dit by julle die geval is, **2** en dat ons van slegte en goddelose mense gered sal word,^k want geloof is nie iets wat alle mense besit nie.^l **3** Maar die Here is getrou, en hy sal julle versterk en julle teen die Duiwel* beskerm. **4** Wat meer is, ons het vertroue in die Here dat julle ons instruk-

2:13; 3:1 *Sien Aanh. A5. 2:17 *Of "versterk". 3:3 *Lett. "die Bose".

HFST. 2

a Mt 24:5
1Ti 4:1
2Ti 4:3, 4

b Joh 6:44
Ro 8:30

c Joh 17:17
1Kor 6:11
1Te 4:7

d 1Pe 5:10

e 1Kor 15:58
1Kor 16:13

f 1Kor 11:2

g 1Jo 4:10

h 1Pe 1:3, 4

HFST. 3

i Ro 15:30
1Te 5:25
Heb 13:18

j Han 19:20
1Te 1:8

k Jes 25:4

l Han 28:24
Ro 10:16

Tweede kol.

a 1Jo 5:3

b Lu 21:19
Ro 5:3

c 1Te 5:14

d 1Kor 11:2
2Te 2:15
2Te 3:14

e 1Kor 4:16
1Te 1:6

f Han 20:34

g Han 18:3
1Kor 9:14, 15
2Kor 11:9
1Te 2:9

h Mt 10:9, 10
1Kor 9:6, 7

i 1Kor 11:1
Flp 3:17

j 1Te 4:11, 12
1Ti 5:8

k 1Te 5:14

l 1Ti 5:13
1Pe 4:15

m Ef 4:28

n 2Te 3:6

2 TESSALONISENSE 2:11-3:15

sies uitvoer en sal aanhou om dit uit te voer. **5** Mag die Here aanhou om julle te help* om lief te wees vir God^a en om vir die Christus te volhard.^b

6 Broers, ons gee dan nou in die naam van ons Here Jesus Christus instruksies aan julle om elke broer te vermy wat hom wanordelik gedra^c en nie lewe volgens die tradisies* wat julle^d van ons ontvang het nie.^d **7** Want julle weet self hoe julle ons behoort na te volg,^e want ons het ons nie wanordelik onder julle gedra nie, **8** en ons het ook niemand se kos geëet sonder om daarvoor te betaal nie.^f Nee, ons het dag en nag hard gewerk en ons ingespan sodat ons nie 'n duur las op enigeen van julle sou wees nie.^g **9** Nie dat ons nie gesag het nie,^h maar ons wou vir julle 'n voorbeeld stel.ⁱ **10** Om die waarheid te sê, toe ons by julle was, het ons altyd vir julle hierdie bevel gegee: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."^j **11** Want ons hoor dat party hulle wanordelik onder julle gedra^k en glad nie werk nie, maar hulle meng in met dinge wat niks met hulle te doen het nie.^l **12** Ons beveel sulke mense en spoor hulle aan in die naam van die Here Jesus Christus om hulle aandag by hulle werk te bepaal en hulle kos self te verdien.^m

13 Broers, julle moenie ophou om te doen wat goed is nie. **14** Maar as iemand nie gehoorsaam is aan ons woorde in hierdie brief nie, moet julle hom merk* en ophou om met hom te assosieer,ⁿ sodat hy skaam kan kry. **15** Moet hom

3:5 *Of "om julle harte suksesvol te rig". 3:6 *Of "instruksies". ^dOf moontlik "hulle". 3:14 *Of "gemerk hou".

nogtans nie as 'n vyand beskou nie, maar hou aan om hom raad te gee^a as 'n broer.

16 Mag die Here van vrede julle dan nou altyd in elke opsig vrede gee.^b Mag die Here met julle almal wees.

HFST. 3

a 1Te 5:14

b Joh 14:27

Tweede kol.

a 1Kor 16:21

Kol 4:18

17 Hier is my groete, Paulus s'n, wat ek met my eie hand skryf.^a Dit is 'n teken in elke brief, en dit is hoe ek skryf.

18 Mag die onverdiende goedheid van ons Here Jesus Christus met julle almal wees.

DIE EERSTE BRIEF AAN

TIMOTEUS

OORSIG

- | | |
|--|---|
| <p>1 Groete (1, 2)
 Waarskuwing teen valse onderrigters (3-11)
 Onverdiende goedheid aan Paulus betoon (12-16)
 Koning van die ewigheid (17)
 'Voer die goeie oorlog' (18-20)</p> <p>2 Gebed vir alle soorte mense (1-7)
 Een God, een middelaar (5)
 Ooreenstemmende losprys vir almal (6)
 Instruksies vir mans en vrouens (8-15)
 Beskeie kleredrag (9, 10)</p> <p>3 Kwalifikasies vir opsieners (1-7)
 Kwalifikasies vir bedieningsknegte (8-13)
 Heilige geheim van toegewydheid aan God (14-16)</p> <p>4 Waarskuwing teen leringe van demone (1-5)</p> | <p>Hoe om 'n goeie bedienaar van Christus te wees (6-10)
 Fisiese oefening teenoor toegewydheid aan God (8)
 Skenk aandag aan jou onderrigting (11-16)</p> <p>5 Hoe om jonk en oud te behandel (1, 2)
 Ondersteuning van weduwees (3-16)
 Sorg vir 'n mens se huisgesin (8)
 Eer hardwerkende ouermanne (17-25)
 "n Bietjie wyn vir jou maag" (23)</p> <p>6 Slawe moet hulle meesters eer (1, 2)
 Valse onderrigters en liefde vir geld (3-10)
 Instruksies vir 'n man van God (11-16)
 Wees ryk in goeie werke (17-19)
 Beskerm wat aan jou toevertrou is (20, 21)</p> |
|--|---|

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die bevel van God, ons Redder, en van Christus Jesus, ons hoop.^a
2 Aan Timo'teus,^{*b} 'n ware kind^c in die geloof:

HFST. 1

a 1Pe 1:3, 4

b Han 16:1, 2
Flp 2:19, 20

Mag jy onverdiende goedheid, genade en vrede ontvang van God, die Vader, en van Christus Jesus, ons Here.

3 Toe ek op die punt gestaan het om na Masedonië te gaan, het ek jou aangemoedig om in Efe'se te bly. Maar ek doen dit

1:2 *Betekens "iemand wat God eer".

c 1Kor 4:17

nou weer sodat jy sekere persone kan beveel om nie valse leringe te versprei nie **4** en om ook nie aandag te skenk aan valse stories^a en aan geslagsregisters nie. Hierdie dinge loop op niks uit nie^b en laat net spekulasies ontstaan eerder as om iets te bied wat van God af kom en wat geloof opbou. **5** Die rede waarom ek hierdie opdrag gee, is sodat ons liefde^c uit 'n rein hart en uit 'n goeie gewete en uit geloof^d sonder skynheiligheid kan hê. **6** Party het hierdie dinge verwerp en by dwase praatjies^e betrokke geraak. **7** Hulle wil onderrigters^f van die wet wees, maar hulle verstaan nie die dinge wat hulle sê of die dinge waarop hulle so sterk aandring nie.

8 Ons weet dat die Wet goed is as 'n mens dit reg* toepas, **9** en ons hou in gedagte dat 'n wet nie vir 'n regverdige mens gemaak word nie, maar vir mense wat wetteloos^g en opstandig is, goddelose mense en sondaars, mense wat dislojaal is* en nie respek het vir wat heilig is nie, wat hulle pa of ma of iemand anders vermoor, **10** wat seksueel onsedelik* is, mans wat homoseksualiteit beoefen,^h ontvoerders, leuenaars, mense wat leuens onder eed vertel,ⁱ en enigiets anders wat teen die gesonde^j lering^k is **11** volgens die glorieryke goeie nuus van die gelukkige God, wat aan my toevertrou is.^l

12 Ek is dankbaar teenoor Christus Jesus, ons Here. Hy het my krag gegee en 'n bediening aan my toegewys omdat hy

1:8 *Lett. "wettiglik". **1:9** *Of "nie lojale liefde het nie". **1:10** *Sien Woordelys, "Seksuele onsedelikheid". ^aOf "mans wat met mans seks het". Lett. "mans wat by mans lê". ^bOf "wat valslik sweer". ^cOf "voordelige".

HFST. 1

a 1Ti 4:7
2Ti 4:3, 4
Tit 1:13, 14b 1Ti 6:20
2Ti 2:14

c Ro 13:8

d Ga 5:6

e 1Ti 6:20
2Ti 2:16-18

f Jak 3:1

g Ga 3:19

h 2Ti 1:13
Tit 1:7, 9

i Ga 2:7, 8

Tweede kol.

a Han 9:15
2Kor 3:5, 6b Han 8:3
Han 9:1, 2
Ga 1:13
Flp 3:5, 6c Lu 5:32
2Kor 5:19
1Jo 2:1, 2d Han 9:1, 2
1Kor 15:9e Joh 6:40
Joh 20:31f Ps 10:16
Ps 90:2
Da 6:26
Op 15:3

g Ro 1:23

h Kol 1:15

i Jes 43:10
1Kor 8:4

j 2Ti 2:3

k 1Ti 1:5

l 2Ti 2:16-18

m 1Kor 5:5, 11

my as getrou beskou het,^a **13** al was ek vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n trotse man.^b Tog is genade aan my betoon omdat ek oningelig was en sonder geloof opgetree het. **14** Maar die onverdiende goedheid van ons Here was buitengewoon groot, saam met geloof en die liefde wat in Christus Jesus is. **15** Hierdie woorde is betroubaar en verdien om ten volle aanvaar te word: Christus Jesus het in die wêreld ingekom om sondaars te red,^c en ek is die ergste van hulle almal.^d **16** Maar genade is aan my betoon sodat Christus Jesus al sy geduld kon toon deur middel van my, die ergste geval. So het ek 'n voorbeeld geword vir dié wat geloof in hom sal stel om die ewige lewe te verkry.^e

17 Aan die Koning van die ewigheid,^f wat onsterflik^g en onsigbaar^h is, die enigste God,ⁱ behoort eer en heerlikheid vir ewig en altyd. Amen.

18 My kind, Timo'teus, ek gee hierdie opdrag aan jou in ooreenstemming met die profesieë wat oor jou gemaak is, sodat jy daardeur kan aanhou om die goeie oorlog te voer/^j **19** terwyl jy geloof en 'n goeie gewete^k behou. Party het hulle gewete opsygestoot, en as gevolg daarvan het hulle geloof skipbreuk gely. **20** Himene'us/^l en Aleksander is onder hulle, en ek het hulle aan Satan oorgelewer^m sodat hulle deur dissipline geleer kan word om nie te laster nie.

2 In die eerste plek wil ek almal dan aanspoor om tot God te bid vir alle soorte mense. Smeek God vir sy hulp en dank hom. **2** Bid vir konings en almal wat 'n hoë posisie*

1:17 *Lett. "onverderflik". **2:2** *Of "gesagsposisie".

het,^a sodat ons kan voortgaan om 'n kalm en stil lewe te lei met erns en uitsluitlike toegewydheid aan God.^b **3** Dit is goed en aangenaam in die oë van God, ons Redder,^c **4** wie se wil dit is dat alle soorte mense gered moet word^d en akkurate kennis van die waarheid moet kry. **5** Want daar is een God,^e en een middelaar^f tussen God en die mense:^g 'n mens, Christus Jesus,^h **6** wat homself as 'n ooreenstemmende losprys vir almal* gegee het.ⁱ Daar moet op die regte tyd hiervan getuig word. **7** Om hierdie getuienis te kan gee,^j is ek as 'n prediker en 'n apostel aangestel,^k 'n onderrigter van nasies^l om hulle te leer van geloof en waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.

8 Daarom wil ek hê dat die mans op elke plek moet aanhou bid en lojaal hulle hande moet oplik,^m sonder om kwaad te wordⁿ en te stry.^o **9** Net so moet die vrouens gepaste* klere dra en hulle versier met beskeidenheid en gesonde verstand,^p nie met hare wat kunstig gevleg is en goud of pêrels of baie duur klere nie,^q **10** maar op 'n manier wat gepas is vir vrouens wat sê dat hulle aan God toegewyd is,^r naamlik deur goeie werke.

11 Laat 'n vrou in stilte* leer met volle onderdanigheid.^s **12** Ek laat 'n vrou nie toe om te onderrig of om gesag oor 'n man te hê nie, maar sy moet stil wees.^t **13** Want Adam is eerste gevorm, en toe Eva.^u **14** Ook is Adam nie bedrieg nie, maar die vrou is geheel en al bedrieg^v en het 'n oortreder

2:6 *Of "alle soorte mense". 2:9 *Of "oerdentlike". 2:9, 15 *Of "goeie oordeel; verstandigheid". 2:11 *Of "kalmte". 2:12 *Of "kalm wees".

HFST. 2

- a Mt 5:44
b Jer 29:7
c Jud 25
d Jes 45:22
Han 17:30
Ro 5:18
1Ti 4:10
e De 6:4
Ro 3:30
f Heb 8:6
Heb 9:15
g 1Kor 11:25
h Han 4:12
Ro 5:15
2Ti 1:9, 10
i Mt 20:28
Mr 10:45
Kol 1:13, 14
j Han 9:15
k Ga 2:7, 8
l Ga 1:15, 16
m Ps 141:2
n Jak 1:20
o Flp 2:14
p 1Pe 3:3, 4
q Spr 31:30
r Ef 5:24
s 1Kor 14:34
t Ge 2:18, 22
1Kor 11:8
u Ge 3:6, 13

Tweede kol.

- a 1Ti 5:14
b 1Ti 2:9, 10

HFST. 3

- c Han 20:28
Tit 1:5-9
d Ro 12:3
1Pe 4:7
e Han 28:7
1Pe 4:9
f 1Ti 5:17
2Ti 2:24
Tit 1:7, 9
g Ro 13:13
h Flp 4:5
Jak 3:17
i Ro 12:18
Jak 3:18
j Heb 13:5
1Pe 5:2
k Ef 6:4
l 1Ti 5:22
m Han 22:12
1Te 4:11, 12
n Han 6:3
Tit 1:7
1Pe 5:2
o 1Ti 1:5
1Ti 1:18, 19
2Ti 1:3
1Pe 3:16

geword. **15** Maar 'n vrou sal beskerm word deur kinders te kry,^a solank sy* in geloof en liefde en heiligheid en met gesonde verstand^{ab} volhard.

3 Hierdie woorde is betroubaar: As 'n man 'n opsiener^c wil wees, begeer hy 'n goeie werk. **2** Daarom moet 'n opsiener hom so gedra dat mense geen rede het om hom te kritiseer nie. Hy moet die man van een vrou wees, matig in gewoontes, verstandig,^d ordelik, gasvry,^e iemand wat kan onderlig,^f **3** nie 'n dronkaard nie,^g nie gewelddadig* nie, maar redelik,^h nie iemand wat daarvan hou om te stry nie,ⁱ nie iemand wat lief is vir geld nie,^j **4** 'n man wat goeie leiding aan sy eie huisgesin gee,* wie se kinders onderdanig is en hulle goed gedra.^{ak} **5** (Want as 'n man nie weet hoe om aan sy eie huisgesin leiding te gee* nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg?) **6** Hy moenie 'n pasbekeerde wees nie,^l sodat hy nie dalk opgeblase van trots word en dieselfde oordeel ontvang wat oor die Duiwel uitgespreek is nie. **7** Hy moet ook 'n goeie reputasie* hê onder mense buite die gemeente,^m sodat hy nie in die skande kom en in 'n strik van die Duiwel beland nie.

8 Net so moet bedieningsknegte ernstig wees, nie bedrieglike dinge sê nie,* hulle nie aan baie wyn oorgee nie, nie gierig op soek wees na oneerlike wins nieⁿ **9** en met 'n skoon gewete^o vashou aan die heilige geheim van die geloof.

2:15 *Lett. "hulle". 3:2 *Of "oordeelkundig; gesond van verstand". 3:3 *Of "in slaner". 3:4 *Of "wat . . . goed bestuur". #Of "met alle erns onderdanig is". 3:5 *Of "om . . . te bestuur". 3:7 *Of "getuienis". 3:8 *Of "uit twee monde praat nie".

10 Hulle moet ook eers getoets word om te sien of hulle geskik is.* Dan kan hulle as bedienaars dien, aangesien hulle vry van beskuldiging is.^a

11 Vrouens moet ook ernstig wees, nie lasteraars nie,^b matig in gewoontes, getrou in alles.^c

12 Bedieningsknegte moet mans van een vrou wees, wat goeie leiding aan hulle kinders en aan hulle eie huisgesinne gee. **13** Want die manne wat op 'n goeie manier dien, verkry 'n goeie reputasie vir hulleself met groot vrymoedigheid van spraak in die geloof in Christus Jesus.

14 Ek skryf hierdie dinge aan jou, al hoop ek om binnekort na jou toe te kom.

15 Maar as ek om die een of ander rede nie dadelik kan kom nie, sal jy weet hoe jy jou in God se huisgesin behoort te gedra,^d wat die gemeente van die lewende God is, 'n pilaar en fondament van die waarheid. **16** Ja, die heilige geheim van hierdie toegewydheid aan God is beslis groot: 'Hy is geopenbaar in die vlees,^e is regverdig verklaar in die gees,^f het aan engele verskyn,^g is onder nasies verkondig,^h is in die wêreld geglo,ⁱ is in heerlijkheid na die hemel opgeneem.'

4 Maar die geïnspireerde woord* sê duidelik dat party in latere tye afvallig sal word van die geloof omdat hulle sal luister na misleidende geïnspireerde woorde^{#j} en leringe van demone, **2** weens die skynheiligheid van mense wat leuens vertel,^k wie se gewetens ongevoelig gemaak is, asof dit met 'n brandyster gebrand is. **3** Hulle verbied mense om te trou/ en

3:10 *Of "kwalifiseer". 4:1 *Lett. "die gees". #Lett. "misleidende geeste".

HFST. 3

a 1Pe 2:12

b 1Ti 5:13

c Tit 2:3-5

d Heb 3:6

e Joh 1:14
Flp 2:7

f 1Pe 3:18

g 1Pe 3:19, 20

h Kol 1:23

i Kol 1:6

HFST. 4

j 2Te 2:1, 2
2Ti 4:3, 4
2Pe 2:1k Han 20:29, 30
2Ti 2:16
2Pe 2:3l 1Kor 7:36
1Kor 9:5

Tweede kol.

a Ro 14:3

b Ro 14:17
1Kor 10:25

c Ge 9:3

d Ge 1:31

e Han 10:15

f 2Ti 2:15

g 1Ti 6:20
Tit 1:13, 14

h Joh 17:3

i Lu 13:24

j Jud 25

k 1Ti 2:3, 4

l Kol 4:16
1Te 5:27

om sekere kosse te eet,^a maar God het hierdie kosse geskep sodat dié wat geloof het^b en die waarheid goed ken, 'n dankgebed daarvoor kan sê en dit kan eet.^c **4** Want elke skepping van God is goed,^d en niks moet verwerp word^e as dit met dankbaarheid ontvang word nie, **5** want dit word geheilig deur God se woord en deur daarvoor te bid.

6 Deur hierdie goeie raad aan die broers te gee, sal jy 'n goeie bedienaar van Christus Jesus wees, een wat gevoed word met die woorde van die geloof en van die goeie leringe wat jy getrou gevolg het.^f **7** Maar verwerp valse stories^g wat oë oor God bring, soos dié wat deur ou vrouens vertel word. Werk eerder hard* met toegewydheid aan God as jou doelwit. **8** Want fisiese oefening het min voordeel, maar toegewydheid aan God is voordelig vir alles, want dit hou 'n belofte in vir die lewe wat ons nou het en die lewe wat sal kom.^h **9** Hierdie woorde is betroubaar en verdien om ten volle aanvaar te word. **10** Dit is waarom ons hard werk en ons inspan,ⁱ want ons het ons hoop gestel op 'n lewende God, wat 'n Redder^j is van alle soorte mense,^k veral van dié wat getrou is.

11 Hou aan om hierdie bevels te gee en dit aan ander te leer. **12** Laat niemand ooit op jou neersien omdat jy jonk is nie. Word eerder 'n voorbeeld vir die getroues in woord, in gedrag, in liefde, in geloof, in sedelike reinheid.* **13** Totdat ek kom, moet jy aanhou om hard te werk aan openbare voorlesing,^l aansporing* en onderrigting.

4:7 *Of "Oefen jou eerder". 4:12 *Lett. "kuisheid". 4:13 *Of "vermaning".

14 Moenie die gawe in jou verwaarloos wat aan jou gegee is deur 'n profesie en toe die liggaam van ouermanne hulle hande op jou gelê het nie.^a

15 Dink na* oor hierdie dinge, wees verdiep daarin, sodat almal jou vooruitgang duidelik kan sien. 16 Skenk voortdurend aandag aan jouself en aan jou onderrigting.^b Hou aan om hierdie dinge te doen, want so sal jy jouself red en dié wat na jou luister.^c

5 Moenie 'n ouer man skerp kritiseer nie.^d Gee hom eerder raad asof hy jou pa is. Behandel jonger mans soos broers, 2 ouer vrouens soos ma's, jonger vrouens soos susters, met 'n rein hart.*

3 Sorg vir* weduwees wat werklik weduwees is.^e 4 Maar as 'n weduwee kinders of klein-kinders het, moet hulle eers leer om toegewydheid aan God in hulle eie huisgesin te betoon.^f Hulle moet hulle ouers en groot-ouers die sorg gee wat hulle toekom,^g want dit is goed in God se oë.^h 5 Die vrou wat werklik 'n weduwee is en behoefdig agtergelaat is, het haar hoop op God gestelⁱ en hou dag en nag aan om smeekgebede en gebede te doen.^j 6 Maar die weduwee wat lewe net om haar begeertes* te bevredig, is dood, al lewe sy. 7 Hou dus aan om hierdie instruksies* te gee, sodat niemand iets teen hulle kan sê nie. 8 Ja, as iemand nie vir sy eie mense sorg nie, veral nie vir lede van sy huisgesin nie, het hy die geloof verwerp en is

4:15 *Of "Peins". 5:2 *Lett. "in alle kuisheid". 5:3 *Lett. "Eer". #Of "weduwees wat werklik behoefdig is", d.w.s. wat niemand het om vir hulle te sorg nie. 5:6 *Moontlik seksuele begeertes. 5:7 *Of "bevele".

HFST. 4

a Han 6:5, 6
Han 13:2, 3
Han 19:6
2Ti 1:6

b 2Ti 4:2

c 1Kor 9:22

HFST. 5

d Le 19:32

e 1Ti 5:16

f 1Ti 5:8

g Mt 15:4
Ef 6:2

h Jak 1:27

i 1Kor 7:34

j Lu 2:36, 37

Tweede kol.

a Mt 15:4-6

b Han 9:39

c 1Ti 2:15

d Heb 13:2
1Pe 4:9

e Joh 13:5, 14

f 1Ti 5:16
Jak 1:27

g 2Te 3:11

h 1Kor 7:8, 9

i 1Ti 2:15

j De 15:11
1Ti 5:5
Jak 1:27

k 1Pe 5:2, 3

l Han 28:10
Heb 13:17

hy erger as iemand sonder geloof.*^a

9 'n Weduwee moet op die lys gesit word as sy ten minste 60 jaar oud is, die vrou van een man was, 10 bekend staan vir haar goeie werke,^b kinders grootgemaak het,^c gasvry was,^d die voete van heiliges gewas het,^e dié gehelp het wat swaarkry^f en elke goeie werk ywerig gedoen het.

11 Moet egter nie jonger weduwees op die lys sit nie, want wanneer hulle seksuele begeertes tussen hulle en die Christus kom, wil hulle trou. 12 En hulle sal oordeel oor hulleself bring omdat hulle die belofte wat hulle voorheen gemaak het,* verbreek het. 13 Terselfdertyd kom hulle in die gewoonte om hulle tyd te mors. Hulle gaan van die een huis ná die ander en mors nie net hulle tyd nie, maar skinder ook en meng in ander mense se sake in^g en praat oor dinge waaroor hulle nie behoort te praat nie. 14 Daarom wil ek hê dat die jonger weduwees moet trou,^h kinders kry,ⁱ vir 'n huishouding sorg en die teenstander geen geleentheid gee om te kritiseer nie. 15 Om die waarheid te sê, party het alreeds weggedraai en Satan begin volg. 16 As 'n gelowige vrou familieledede het wat weduwees is, moet sy hulle help, sodat die gemeente nie die las hoef te dra nie. Dan kan die gemeente dié help wat werklik weduwees is.*^j

17 Die ouermanne wat goeie leiding gee,^k verdien dubbele eer,^l veral dié wat hard

5:8 *Of "n ongelowige". 5:12 *Of "hulle eerste betuiging van geloof". 5:16 *Of "die weduwees wat werklik behoefdig is, help", d.w.s. wat niemand het om vir hulle te sorg nie.

werk in woord en onderrigting.^a **18** Want die Skrif sê: “Jy mag nie ’n bul se bek toebind wanneer hy op die dorsvloer werke nie”,^b en dit sê ook: “Die werker is sy loon werd.”^c **19** Moenie ’n beskuldiging teen ’n ouer man* aanvaar as daar nie twee of drie getuies is nie.^d **20** Jy moet dié wat sonde beoefen, voor almal teregwy^e as ’n waarskuwing vir die res.* **21** Ek beveel jou ernstig voor God en Christus Jesus en die engele wat uitgekies is: Gehoorsaam hierdie instruksies sonder om bevooroordeelde of partydig te wees.^f

22 Moet nooit haastig wees om jou hande op enigiemand te lê nie,^g en moenie ’n deel hê aan die sondes van ander nie. Bly sedelik rein.^h

23 Moenie langer water drink nie,* maar drink ’n bietjie wyn vir jou maag en omdat jy so dikwels siek is.

24 Die sondes van party mense is algemeen bekend, en hulle word dadelik geoordeel, maar die sondes van ander word later bekend.^h **25** Net so is party goeie werke algemeen bekend,ⁱ en selfs goeie werke wat nie algemeen bekend is nie, kan nie weggesteek word nie.^j

6 Dié wat slawe is, moet aanhou om alle eer aan hulle eienaars te gee,^k sodat daar nooit sleg gepraat sal word van die naam van God en die leringe nie.^l **2** En dié wat gelowige eienaars het, moenie disrespekvol teenoor hulle wees omdat hulle broers is nie. Laat hulle eerder ywerige slawe wees, want dié

5:19 *Of “n ouerman”. Sien Woordelyst. 5:20 *Lett. “sodat die res vrees kan hê”. 5:22 *D.w.s., moenie enigiemand oorhaastig aanstel nie. *Lett. “Hou jouself kuis”. 5:23 *Of “Hou op om net water te drink”.

HFST. 5

a 1Te 5:12
Heb 13:7b De 25:4
1Kor 9:7,9c Le 19:13
Mt 10:9,10
Lu 10:7
Ga 6:6d De 19:15
Mt 18:16e 1Kor 15:34
Tit 1:7,9
Tit 1:13
1Jo 3:9
Op 3:19f Le 19:15
Jak 3:17g Han 6:5,6
Han 14:23
1Ti 3:2,6
1Ti 4:14h Jos 7:11
Heb 4:13

i Mt 5:16

j 1Kor 4:5

HFST. 6

k Ro 13:7
Ef 6:5
Kol 3:22

l 1Pe 2:13,14

Tweede kol.

a 2Ti 1:13

b Tit 1:1,2

c 1Kor 8:2

d 2Ti 2:14
Tit 1:10
Tit 3:9e 2Kor 11:3
2Ti 3:8
Jud 10

f 1Pe 5:2

g 1Ti 4:8

h Job 1:21
Ps 49:16,17i Spr 30:8,9
Heb 13:5

j Mt 13:22

k Spr 28:20,22
Jak 5:1

l Mt 6:24

wat deur hulle goeie diens bevoordeel word, is gelowiges en geliefdes.

Hou aan om hierdie dinge aan ander te leer en hierdie aansporings te gee. **3** As enigiemand ’n ander lering verkondig en nie saamstem met die gesonde* onderrigting^a wat van ons Here Jesus Christus af kom of met die lering wat in ooreenstemming met toegewydheid aan God is nie,^b **4** is hy opgeblase van trots en verstaan hy niks nie.^c Hy het ’n obsessie met* argumente en debatte oor woerde.^d Hierdie dinge lei tot jaloesie, onenigheid, beledigende taal^e en goddelose agterdog. **5** Dit lei ook tot aanhoudende stryery oor onbelangrike dinge deur mense wie se verstande onrein is^e en wat die waarheid nie meer verstaan nie. Hulle dink dat toegewydheid aan God vir hulle voordele inhou.^f **6** Toegewydheid aan God hou beslis groot voordele in^g as dit met tevredenheid gepaardgaan. **7** Want ons het niks in die wêreld ingebring nie, en ons kan ook niks daaruit wegdra nie.^h **8** As ons dan kos en kleres* het, sal ons met hierdie dinge tevrede wees.ⁱ

9 Maar dié wat vasbeslote is om ryk te wees, val in versoeking en ’n strik^j en swig voor baie dwase en skadelike begeertes wat mense tot rampspoed en vernietiging lei.^k **10** Want die liefde vir geld is ’n wortel van allerhande skadelike dinge, en deur hulle aan hierdie liefde oor te gee, het party van die geloof afgedwaal en baie pyn vir hulleself veroorsaak.*^l

6:3 *Of “voordelige”. 6:4 *Of “ongesonde belangstelling in”. *Of “laster”. 6:8 *Of moontlik “huisvesting”. Lett. “bedekking”. 6:10 *Lett. “hulleself oral met baie pyne deurboor”.

11 Maar jy, o man van God, vlug vir hierdie dinge. Werk eerder hard om regverdigheid, toegewydheid aan God, geloof, liefde, volharding en sagmoedigheid^a aan te kweek. **12** Stryd die goeie stryd van die geloof. Kry 'n stewige houvas op die ewige lewe waarvoor jy geroep is en waarvan jy voor baie getuies 'n goeie openbare bekendmaking gedoen het.

13 Ek beveel jou voor God, wat alles aan die lewe hou, en voor Christus Jesus, wat as 'n getuie die goeie openbare bekendmaking voor Pontius Pilatus^b gedoen het, **14** om aan die gebod gehoorsaam te wees en onbesmet te bly sonder dat enigiemand iets teen jou kan sê. Hou aan om dit te doen tot dat ons Here Jesus Christus geopenbaar word.^c **15** Die gelukkige en enigste Heerser sal homself op die vasgestelde tye openbaar. Hy is die Koning van dié wat as konings regeer en Here van dié wat as here^d regeer. **16** Hy is die enigste een wat onsterflikheid het,^e en hy woon in lig wat so helder is dat niemand daar naby kan kom

HFST. 6

a Spr 15:1
Mt 5:5
Ga 5:22, 23
Kol 3:12
1Pe 3:15

b Mt 27:11
Joh 18:33, 36
Joh 19:10, 11

c 2Te 2:8
2Ti 4:1, 8

d Op 17:14
Op 19:16

e Heb 7:15, 16

Tweede kol.

a Han 9:3
Op 1:13, 16

b Joh 14:19
1Pe 3:18

c Mt 13:22
Mr 10:23

d Pr 5:19
Mt 6:33
Jak 1:17

e Ro 12:13
2Kor 8:14
Jak 1:27

f Mt 6:20

g Lu 16:9

h 2Ti 1:13, 14
2Ti 3:14
2Ti 4:5

i 1Kor 2:13
1Kor 3:19
Kol 2:8

nie.^a Geen mens het hom gesien of kan hom sien nie.^b Aan hom behoort die eer en ewige mag. Amen.

17 Beveel dié wat ryk is in hierdie wêreld* om nie hoogmoedig[#] te wees nie en om nie te vertrou op rykdom wat kan verdwyn nie,^c maar op God, wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.^d **18** Sê vir hulle om goed te doen, om ryk te wees in goeie werke, om vrygewig te wees, bereid om te deel.^e **19** So sal hulle vir hulleself 'n skat bewaar – 'n goeie fondament vir die toekoms,^f sodat hulle 'n stewige houvas op die werklike lewe kan kry.^g

20 Timo'teus, beskerm wat aan jou toevertrou is^h en vermy die leë praatjies wat 'n bespotting maak van wat heilig is en valse kennisⁱ wat die waarheid weerspreek. **21** Omdat party met sulke kennis gespog het, het hulle van die geloof afgedwaal.

Mag die onverdiende goedheid met julle wees.

6:17 *Of "stelsel van dinge". Sien Wordelys. #Of "arrogant".

DIE TWEDE BRIEF AAN

TIMOTEUS

OORSIG

1 Groete (1, 2)
Paulus dank God vir Timoteus se geloof (3-5)
Hou gawe van God soos 'n vuur aan die gang (6-11)
Bly by gesonde woorde (12-14)
Paulus se vyande en vriende (15-18)

2 Leer getroues, wat dan ander kan leer (1-7)
Ly ter wille van die goeie nuus (8-13)
Hanteer God se woord reg (14-19)
Vlug vir begeertes van die jeug (20-22)
Hoe om teenstanders te hanteer (23-26)

- 3 Swaar tye in die laaste dae (1-7)
 Volg Paulus se voorbeeld
 noukeurig (8-13)
 "Bly by die dinge wat jy geleer
 het" (14-17)
 Die hele Skrif deur God
 geïnspireer (16)

- 4 'Voer jou bediening ten volle uit' (1-5)
 Verkondig die woord dringend (2)
 "Ek het die goeie stryd gestry" (6-8)
 Persoonlike opmerkings (9-18)
 Groete (19-22)

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur God se wil volgens die belofte van die lewe wat deur Christus Jesus is.^a **2** Aan Timo'teus, 'n geliefde kind:^b

Mag jy onverdiende goedheid, genade en vrede hê van God, die Vader, en van Christus Jesus, ons Here.

3 Ek is dankbaar teenoor God, vir wie ek met 'n skoon gewete heilige diens doen net soos my voorvaders. In my smeekgebede dink ek dag en nag aan jou. **4** Wanneer ek aan jou trane dink, verlang ek om jou te sien sodat ek met vreugde gevul kan word. **5** Want ek onthou jou opregte geloof,^c wat jou ouma Lo'is en jou ma Eunice eers gehad het en wat jy onge-twyfeld nog steeds het.

6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die gawe van God wat jy ontvang het toe ek my hande op jou gelê het,^d soos 'n vuur aan die gang te hou.* **7** Want die gees wat God ons gegee het, maak ons nie lafhartig nie,^e maar gee ons krag,^f liefde en gesonde verstand. **8** Moet jou dus nie skaam vir die getuienis oor ons Here nie,^g en ook nie vir my, wat 'n gevangene ter wille van hom is nie. Maar wees bereid om vir die goeie nuus te ly^h en om op God

1:6 *Of "aan te wakker".

HFST. 1

- a Joh 3:16
 Joh 6:40, 44
 1Pe 1:3, 4
 b 1Kor 4:17
 c 1Ti 4:6
 d 1Ti 4:14
 e Ro 8:15
 1Te 2:2
 f Lu 24:49
 Han 1:8
 g Ro 1:16
 h Kol 1:24
 2Ti 2:3

Tweede kol.

- a Flp 4:13
 Kol 1:11
 b Ef 1:4
 Heb 3:1
 c Ef 2:5
 Ef 2:8
 Tit 3:5
 d Joh 1:14
 Heb 2:9
 e 1Kor 15:54
 Heb 2:14
 f Ro 1:16
 g Joh 5:24
 1Jo 1:2
 h 1Pe 1:3, 4
 i Han 9:15
 1Ti 2:7
 j Han 9:16
 Ef 3:1
 k 2Kor 4:2
 l 2Ti 4:8
 m 1Ti 6:3, 4
 Tit 1:7, 9
 n Ro 8:11
 o Han 19:10

se krag te vertrou.^a **9** Hy het ons gered en ons geroep met 'n heilige roeping,^b nie as gevolg van ons werke nie, maar as gevolg van sy eie voorne-me en onverdiende goedheid.^c Dit is lank gelede deur middel van Christus Jesus aan ons gegee, **10** maar nou is dit duidelik sigbaar gemaak deur die openbaring van ons Redder, Christus Jesus.^d Hy het 'n einde aan die dood gemaak^e en het deur die goeie nuus^f aan ons getoon hoe om die lewe te kry,^g sowel as 'n liggaam wat nie kan vergaan nie.^h **11** Ek is as 'n prediker en 'n apostel en 'n onderrigter aangestel om hierdie goeie nuus bekend te maak.ⁱ

12 Daarom ly ek ook hierdie dinge,^j maar ek skaam my nie.^k Want ek ken die Een in wie ek geglo het, en ek is seker dat hy alles wat ek aan hom toevertrou het, tot daardie dag toe kan bewaar.^l **13** Bly by die patroon* van gesonde^m woordeⁿ wat jy by my gehoor het, met die geloof en liefde wat die gevolg is van eenheid met Christus Jesus. **14** Bewaar hierdie skat met behulp van die heilige gees, wat in ons woon.ⁿ

15 Jy weet dat al die manne in die provinsie Asië^o hul-le rug op my gedraai het,

1:13 *Of "voorbeeld; maatstaf". ^oOf "voordelige".

insluitende Fige'lus en Hermo'genes. **16** Mag die Here genade aan die huis van Ones'i'forus^a betoon, want hy het my dikwels aangemoedig en hom nie vir my vangenisboeie geskaam nie. **17** Om die waarheid te sê, toe hy in Rome was, het hy ywerig na my gesoek en my gevind. **18** Ek bid dat die Here Jehovah* in dié dag genade aan hom sal betoon. En jy weet goed wat hy alles in Efe'se vir my gedoen het.

2 My kind,^b hou dan aan om krag te verkry uit die onverdiende goedheid wat in Christus Jesus is. **2** Jy moet die dinge wat jy by my gehoor het en wat deur baie getuies bevestig is,^c aan getroue mense leer, wat dan weer bekwaam sal wees om ander te onderrig. **3** Wees bereid om te ly^d as 'n goeie soldaat^e van Christus Jesus. **4** Niemand wat as 'n soldaat dien, raak betrokke by* die sakebedrywighede^f van die lewe nie omdat hy die een wat hom in diens geneem het, tevrede wil stel. **5** En selfs as iemand aan die spele deelneem, ontvang hy nie die kroon as hy nie volgens die reëls deelgeneem het nie.^f **6** Die hardwerkende boer moet die eerste een wees wat van die vrugte eet. **7** Dink voortdurend aan wat ek sê. Die Here sal jou al hierdie dinge laat verstaan.*

8 Onthou dat Jesus Christus uit die dood opgewek is^g en Dawid se nakomeling* was.^h Dit is die goeie nuus wat ek verkondig,ⁱ **9** en daarvoor ly ek en word ek soos 'n misda-

1:18; 2:19 *Sien Aanh. A5. 2:4 *Lett. "raak verstrengel in". ^aOf moontlik "die alledaagse bedrywighede". 2:7 *Of "onderskeidingsvermoë in alles gee". 2:8 *Lett. "saad".

HFST. 1

a 2Ti 4:19

HFST. 2

b 1Ti 1:2

c 2Ti 3:14

d 2Ti 1:8

e 1Ti 1:18

f 1Kor 9:25

g Han 2:24

h Han 2:29-32
Ro 1:3

i Han 13:23

Tweede kol.

a Han 9:16
Flp 1:7

b Kol 4:3,4

c 2Kor 1:6
Ef 3:13
Kol 1:24

d Ro 6:5,8

e Op 3:21
Op 20:4,6f Mt 10:33
Lu 12:9

g 2Ti 4:2

h 1Ti 4:7
1Ti 6:20

i 1Ti 1:20

j 1Kor 15:12

k Nu 16:5

l Jes 26:13

diger gevange gehou.^a Maar die woord van God kan nie gevang gehou word nie.^b **10** Daarom gaan ek voort om alles ter wille van die uitverkorenes te verduur,^c sodat hulle ook deur Christus Jesus gered kan word en ewige heerlikheid kan verkry. **11** Hierdie woorde is betroubaar: As ons saam gesterf het, sal ons ook saam lewe.^d **12** As ons volhard, sal ons ook saam as konings regeer.^e As ons sê dat ons hom nie ken nie, sal hy ook sê dat hy ons nie ken nie.^f **13** As ons ontrou is, bly hy getrou, want hy kan niks doen wat teen sy geardheid is nie.*

14 Hou aan om hulle aan hierdie dinge te herinner en waarsku* hulle voor God om nie oor woorde te stry nie. Dit is iets wat heeltemal nutteloos is omdat dit skadelik is vir dié wat daarna luister. **15** Doen jou bes om God se goedkeuring te hê as 'n werker wat hom oor niks hoef te skaam nie en wat die woord van die waarheid reg hanteer.^g **16** Maar vermy leë praatjies wat 'n bespottling maak van wat heilig is,^h want dit sal tot groter goddeloosheid lei **17** en sal soos kanker versprei. Himene'us en File'tus is onder diegene wat hierdie woorde versprei.ⁱ **18** Hierdie manne het van die waarheid afgedwaal deur te sê dat die opstanding reeds plaasevind het,^j en hulle laat party mense se geloof verswak. **19** Tog bly die stewige fondament van God staan, en dit het hierdie seël: "Jehovah* ken dié wat aan hom behoort",^k en: "Laat elkeen wat die naam van Jehovah*^l aanroep, wegdraai van onregverdigheid."

2:13 *Lett. "hy kan homself nie verloën nie". 2:14 *Lett. "getuig deeglik vir".

20 In 'n groot huis is daar nie net houters van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Party word vir 'n eervolle doel gebruik, maar ander vir 'n oneervolle doel. **21** As iemand dus van die laasgenoemdes wegbly, sal hy 'n houder* wees wat vir 'n belangrike doel gebruik word, geheilig, nuttig vir sy eenaar, geskik vir elke goeie werk. **22** Flug dus vir die begeertes van die jeug, maar streef na regverdigheid, geloof, liefde en vrede, saam met dié wat die Here uit 'n rein hart aanroep.

23 En verwerp dwase en dom debatte,^a want jy weet dat dit tot stryery lei. **24** 'n Slaaf van die Here hoef nie te stry nie. Hy moet eerder vriendelik* wees teenoor almal,^b hy moet kan onderrig en hy moet selfbeheersing hê wanneer hy onregverdig behandel word.^c **25** Hy moet dié wat nie 'n goeie gesindheid het nie,^d met sagmoedigheid onderrig. Miskien sal God hulle toelaat om berou te toon,* wat tot akkurate kennis van die waarheid lei,^e **26** en sal hulle tot hulle sinne kan kom en uit die strik van die Duiwel kan ontsnap, aangesien hulle lewend deur hom gevang is om sy wil te doen.^f

3 Maar weet dat daar in die laaste dae^g swaar tye sal wees wat moeilik is om deur te kom. **2** Want mense sal selfsugtig wees, geldgierig, trots en hoogmoedig. Hulle sal beledigende dinge sê. Hulle sal ongehoorsaam wees aan hulle ouers. Hulle sal ondankbaar en dislojaal wees. **3** Hulle sal geen natuurlike liefde hê nie en nie bereid wees om tot enigiets in te stem nie. Hulle sal slegte dinge

2:21 *Of "instrument". 2:24 *Of "taktvol". 2:25 *Of "van gedagte te verander".

HFST. 2

a 1Ti 1:3, 4
1Ti 4:7
Tit 3:9

b 1Te 2:7

c Mt 5:39

d Spr 15:1
Ga 6:1
Tit 3:2
1Pe 3:15

e 1Ti 2:3, 4

f Joh 13:27
Han 5:3
1Ti 1:20

HFST. 3

g Mt 24:3
1Ti 4:1
2Pe 3:3
Jud 17, 18

Tweede kol.

a Mt 7:15
Mt 7:22, 23

b Eks 7:11, 12
Eks 9:11

c 1Kor 4:17
2Ti 1:13

d Han 13:50

e Han 14:1, 5, 6

f Han 14:19

g 2Kor 1:10

h Mt 16:24
Joh 15:20
Han 14:22

van mense sê en geen selfbeheersing hê nie. Hulle sal wreed wees en sonder liefde vir wat goed is. **4** Hulle sal verraaiers wees, hardkoppig,* opgeblase van trots en lief vir plesier eerder as vir God. **5** Dit sal lyk asof hulle God dien, maar hulle sal nie lewe soos mense wat God dien nie.*^a Bly weg van hierdie mense af. **6** Want onder hulle is daar manne wat op 'n slinkse manier huise binne-dring en swak vrouens in hulle mag kry. Hierdie vrouens is met sondes oorlaai en word deur allerhande begeertes gelei. **7** Hulle leer heelyd, en tog kan hulle nooit akkurate kennis van die waarheid verkry nie.

8 En net soos Jannes en Jambres Moses teëgestaan het, so gaan hulle ook voort om die waarheid teë te staan. Sulke mense se denke is heeltemal sleg, en hulle het nie God se goedkeuring nie omdat hulle nie volgens die geloof lewe nie. **9** Tog sal hulle nie verkom nie, want almal sal kan sien hoe dwaas hulle is, soos in die geval van daardie twee manne.^b **10** Maar jy het my getrou gevolg in my onderrigting, my lewenswyse,^c my doel, my geloof, my geduld, my liefde en my volharding. **11** Jy weet ook hoe ek vervolg is en gely het in Antio'gië,^d in Iko'nium^e en in Lистра.^f Ek het hierdie vervolginge verduur, en die Here het my uit hulle almal gered.^g **12** Om die waarheid te sê, almal wat met toegewydheid aan God as 'n volgeling van Christus Jesus wil lewe, sal ook vervolg word.^h **13** Maar goddelose mense en bedrieërs sal al hoe slegter

3:4 *Of "roekeloos". 3:5 *Of "maar hulle sal die krag van toegewydheid aan God verloën".

word, terwyl hulle ander mislei en self mislei word.^a

14 Maar jy moet bly by die dinge wat jy geleer het en wat jy oortuig is om te glo,^b want jy weet by wie jy dit geleer het **15** en dat jy van jongs af^c die heilige geskryfte geken het,^d wat jou wys kan maak vir redding deur geloof in Christus Jesus.^e **16** Die hele Skrif is deur God geïnspireer^f en is nuttig om te onderrig,^g om tereg te wys, om dinge reg te stel, om in regverdigheid te dissiplineer,^h **17** sodat die mens van God heeltemal bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie werk.

4 Ek gee jou hierdie ernstige bevel voor God en Christus Jesus, wat die lewendes en die dooiesⁱ sal oordeel^j wanneer hy geopenbaar word^k en in sy Koninkryk is!^l **2** Verkondig die woord,^m bly dringend daarmee besig in goeie tye en in moeilike tye. Wys tereg,ⁿ gee streng raad, moedig aan. Doen dit met alle geduld en deur goed te onderrig.^o **3** Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle nie die gesonde* lering^p sal verdra nie, maar hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle onderrigters bymekaarmaak wat dinge sê wat hulle graag wil hoor.^q **4** Hulle sal nie meer na die waarheid luister nie en sal aandag skenk aan valse stories. **5** Maar jy moet in alles helder van verstand bly, moeilike tye deurstaan,^r die werk van 'n evangelieprediker doen* en jou bediening ten volle uitvoer.^s

6 Want ek word reeds soos 'n drankoffer uitgegooi,^t en die tyd vir my verlossing^u is naby.

4:2 *Of "en met onderrigkuns". **4:3** *Of "voordelige". ^aLett. "sodat hulle ore gestreef kan word". **4:5** *Of "aanhou om die goeie nuus te verkondig".

HFST. 3

- a 2Te 2:11
- 1Ti 4:1
- b 2Ti 1:13
- c Spr 22:6
- d Han 16:1, 2
- e Joh 5:39
- f Joh 14:26
- 2Pe 1:21
- g Ro 15:4
- h 1Kor 10:11

HFST. 4

- i Joh 5:28, 29
- Han 10:42
- j Joh 5:22
- Han 17:31
- 2Kor 5:10
- k 1Ti 6:14, 15
- 1Pe 5:4
- l Op 11:15
- Op 12:10
- m 2Ti 2:15
- n 1Ti 5:20
- Tit 1:7, 9
- Tit 1:13
- Tit 2:15
- o 2Ti 2:24, 25
- p 1Ti 1:9, 10
- q 1Ti 4:1
- r 2Ti 1:8
- 2Ti 2:3
- s Ro 15:19
- Kol 1:25
- t Nu 28:6, 7
- u Flp 1:23

Tweede kol.

- a 1Kor 9:26
- 1Ti 6:12
- b Flp 3:14
- c 1Kor 9:25
- Jak 1:12
- d Joh 5:22
- e 1Pe 5:4
- Op 2:10
- f Kol 4:14
- Fim 23, 24
- g Ef 6:21
- Kol 4:7
- h Ps 28:4
- Ps 62:12
- Spr 24:12
- i Han 9:15
- j Ps 22:21
- k Op 20:4

7 Ek het die goeie stryd gestry,^a ek het die wedloop voltooi,^b ek het die geloof behou. **8** Van nou af wag die kroon van regverdigheid^c vir my, wat die Here, die regverdige regter,^d vir my in daardie dag as 'n beloning sal gee.^e Hy sal dit egter nie net vir my gee nie, maar ook vir almal wat uitgesien het na sy openbaring.

9 Doen jou bes om binnekort na my toe te kom. **10** Want Demas^f het my verlaat omdat hy lief is vir hierdie wêreld,* en hy het na Tessalo'nika gegaan. Kressens is na Gala'sië, en Titus is na Dalma'sië. **11** Net Lukas is by my. Bring Markus saam met jou, want ek kan hom goed gebruik in die bediening. **12** Maar ek het Ti'gikus^g na Efe'se gestuur. **13** Wanneer jy kom, moet jy die mantel bring wat ek in Troas by Karpus gelos het, en die boekrolle, veral die perkamente.*

14 Aleksander, die koper-smid, het my baie skade aangedoen. Jehovah* sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het.^h **15** Pasop vir hom, want hy het ons boodskap erg teëgestaan.

16 Toe ek my die eerste keer verdedig het, het niemand my gehelp nie, maar hulle almal het my in die steek gelaat. Mag God dit nie teen hulle hou nie. **17** Maar die Here het naby my gestaan en my krag gegee, sodat ek die boodskap ten volle kon verkondig en al die nasies dit kon hoor.ⁱ En ek is uit die leeu se bek verlos.^j **18** Die Here sal my van elke goddelose werk bevry en my vir sy hemelse Koninkryk red.^k Aan hom

4:10 *Of "die teenswoordige stelsel van dinge". Sien Woordelys. **4:13** *D.w.s. boekrolle van leer. **4:14** *Sien Aanh. A5.

behoort die eer vir ewig en altyd. Amen.

19 Stuur groete vir Prisca en A'quila^a en die huis van Onesiforus.^b

20 Eras'tus^c het in Korinte gebly, maar ek het Tro'fimus^d in Mile'te agtergelaat omdat hy siek was. **21** Doen jou

HFST. 4

a Ro 16:3

b 2Ti 1:16

c Han 19:22

d Han 21:29

bes om voor die winter hier aan te kom.

Eubu'lus stuur vir jou groete, en so ook Pudens en Linus en Claudia en al die broers.

22 Mag die Here wees met die gees wat jy openbaar. Mag sy onverdiende goedheid met julle wees.

AAN

TITUS

OORSIG

1 Groete (1-4)

Titus moet ouermanne in Kreta aanstel (5-9)

Wys opstandiges tereg (10-16)

2 Goeie raad vir jonk en oud (1-15)

Verwerp goddeloosheid (12)

"Ywerig vir goeie werke" (14)

3 Gepaste onderdanigheid (1-3)

Wees voorbereid vir goeie werke (4-8)

Verwerp dwase argumente en sektes (9-11)

Persoonlike instruksies en groete (12-15)

1 Van Paulus, 'n slaaf van God en 'n apostel van Jesus Christus volgens die geloof van dié wat God uitgekies het en die akkurate kennis van die waarheid wat verband hou met toegewydheid aan God. **2** Hierdie dinge is gebaseer op die hoop op ewige lewe^a wat God, wat nie kan lieg nie,^b lank gelede belowe het. **3** Maar op sy eie vasgestelde tyd het hy sy woord bekend gemaak deur die predikingswerk wat aan my gegee is^c volgens die bevel van God, ons Redder. **4** Aan Titus, 'n medegelowige wat werklik soos my kind is:

Mag jy onverdiende goedheid en vrede hê van God, die Vader,

HFST. 1

a Ro 6:23

b Nu 23:19

c Han 9:15

Tweede kol.

a 1Ti 3:2-7

b 2Pe 2:10

c Jak 1:19

en van Christus Jesus, ons Redder.

5 Ek het jou in Kreta agtergelaat om sekere dinge* reg te stel en om in een stad ná die ander ouermanne aan te stel volgens die instruksies wat ek jou gegee het: **6** 'n Ouerman moet vry van beskuldiging wees, die man van een vrou, die pa van gelowige kinders wat nie van wilde* of opstandige gedrag aangekla word nie.^a **7** Want as God se bestuurder moet 'n opsiener vry van beskuldiging wees. Hy moenie hardkoppig wees,^b gou kwaad word^c of 'n dronkaard wees nie. Hy moenie

1:5 *Of "dinge wat gebrekkig was".

1:6 *Of "losbandige".

gewelddadig* wees of gierig op soek wees na oneerlike wins nie. **8** Hy moet eerder gasvry wees,^a die goeie liefhê, en hy moet verstandig,^b regverdig en lojaal^c wees. Hy moet selfbeheersing hê^d **9** en in sy onderligting* stewig aan die betroubare woord^e vashou,^e sodat hy mense deur die gesonde^f lering kan opbou^{mf} en dié wat daarteen praat, kan tereg wys.^g

10 Want daar is baie opstandiges, mense wat dwase dinge sê en ander bedrieg, veral dié wat nog steeds sê dat dit nodig is om besny te word.^h **11** Dit is nodig om hulle monde stil te maak, want dit is juis hulle wat aanhou om die geloof van hele huisgesinne te verswak deur dinge te leer wat hulle nie behoort te leer nie omdat hulle oneerlike wins wil maak. **12** Een van hulle, hulle eie profeet, het gesê: “Mense van Kreta is altyd leuenaars, gevaarlike wilde diere, lui vrate.”

13 Hierdie getuienis is waar. Hou dus aan om streng met hulle te praat en om hulle tereg te wys, sodat hulle gesond in die geloof kan wees **14** en nie sal luister na valse Joodse stories en gebooe van mense wat van die waarheid wegdraai nie. **15** Alles is rein vir rein mense,ⁱ maar vir dié wat onrein en sonder geloof is, is niks rein nie, want hulle verstand en hulle gewete is onrein.^j **16** Hulle verkondig in die openbaar dat hulle God ken, maar hulle dade toon dat hulle hom nie wil ken nie.^k Hulle is afskuwelik en ongehoorsaam en nie geskik vir enige goeie werk nie.

1:7 *Of “n slaner”. 1:8 *Of “oordeelkundig; gesond van verstand”. 1:9 *Of “onderrigkuns”. *Of “boodskap”. 1:9; 2:1, 8 ^aOf “voordelige”. 1:9 *Of “vermaan”.

HFST. 1

a 1Pe 4:9

b Ro 12:3

1Ti 3:2

c 1Ti 2:8

d 2Ti 2:24

Jak 3:13

e 1Ti 4:16

1Ti 6:3, 4

f 1Ti 1:9, 10

2Ti 1:13

g 1Ti 5:20

2Ti 4:2

Tit 1:13

Op 3:19

h Han 15:1

i Ro 14:14

j Mt 15:11

k Mt 7:16-18

Tweede kol.

HFST. 2

a 1Ti 4:16

2Ti 1:13

b 1Kor 14:34, 35

1Pe 3:1, 2

c Ro 12:3

1Pe 5:5

d 2Ti 2:15

e Kol 3:8

f 1Pe 2:15

g Ef 6:5

1Ti 6:1

1Pe 2:18

h Ef 4:28

i Mt 5:16

2 Hou jy egter aan om die dinge te sê wat ooreenstem met die gesonde^f lering.^a **2** Laat die ouer mans selfbeheersing hê in hulle gewoontes, ernstig en verstandig* wees, sterk geloof hê, liefde betoon en volhard. **3** Net so moet die ouer vrouens God deur hulle gedrag eer, nie laster of aan baie wyn verslaaf wees nie en onderrigters wees van wat goed is. **4** Dan kan hulle die jong vrouens leer* om hulle mans lief te hê, om hulle kinders lief te hê, **5** om verstandig* en rein* te wees, om by die huis te werk^a en om te doen wat goed is, terwyl hulle aan hulle eie mans onderdanig is,^b sodat daar nie van die woord van God sleg gepraat sal word nie.

6 Hou ook aan om die jonger mans aan te spoor om verstandig* te wees.^c **7** Wees in alles 'n voorbeeld van goeie dade. Leer ander met alle erns wat suiwer is*^d **8** deur gesonde^e woorde te gebruik wat nie gekritiseer kan word nie,^e sodat teenstanders skaam kan kry omdat hulle niks negatiefs* van ons kan sê nie.^f **9** Laat slawe in alles aan hulle eienaars onderdanig wees^g en hulle probeer tevrede stel sonder om teë te praat. **10** Hulle moenie van hulle eienaars steel nie,^h maar hulle moet bewys dat hulle heeltemal betroubaar is sodat hulle die leringe van ons Redder, God, in alles kan versier.ⁱ

11 Want die onverdiende goedheid van God is geopen-

2:2, 5, 6 *Of “gesond van verstand”. 2:4 *Of “tot besinning bring; raad gee”. 2:5 *Lett. “kuis”. ^aOf “om vir hulle huishouding te sorg”. 2:7 *Of moontlik “met suiwerheid”. 2:8 *Of “veragteliks”.

baar en lei tot redding vir alle soorte mense.^a **12** Dit leer ons om goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp^b en om met verstandigheid* en regverdigheid en toegewydheid aan God in hierdie wêreld^c te lewe.^c **13** Ons doen dit terwyl ons wag op die gelukkige hoop^d en glorieryke openbaring van die groot God en van ons Redder, Jesus Christus. **14** Hy het homself vir ons gegee^e om ons van elke soort wetteloosheid te bevry^f en vir homself 'n volk te reinig wat sy spesiale besitting is, ywerig vir goeie werke.^g

15 Hou aan om met volle gesag hierdie dinge te sê en om ander aan te spoor* en tereg te wys.^h Laat geen mens ooit op jou neersien nie.

3 Hou aan om hulle daaraan te herinner om onderdanig en gehoorsaam te wees aan regeerings en owerhede,ⁱ om gereed te wees vir elke goeie werk, **2** om niks slegs van enigiemand te sê nie, om nie strygerig te wees nie, maar redelik,^j en om sagmoedigheid te openbaar teenoor alle mense.^k **3** Want ons was ook voorheen onverstandig, ongehoorsaam, mislei, slawe van allerhande begeertes en genot. Ons het in slegtheid en jaloesie gelewe, was afskuwelik en het mekaar gehaat.

4 Maar toe die goedhartigheid van ons Redder, God,^l en sy liefde vir die mensdom geopenbaar is, **5** het hy ons gered, nie as gevolg van enige regverdige daade wat ons gedoen het nie,^m maar as gevolg van sy eie genade.ⁿ Hy het ons gered deur middel van die bad wat ons le-

2:12 *Of "gesonde verstand". ^aOf "stelsel van dinge". Sien Woordelys. **2:14** *Lett. "los te koop". **2:15** *Of "te vermaan".

HFST. 2

- a Ro 5:18
- b 1Jo 2:16
- c Ro 12:2
- d 1Pe 1:13
- e Mt 20:28
1Ti 2:5, 6
- f Ef 1:7
Kol 1:13, 14
- g Ef 2:10
Heb 9:14
- h 2Ti 4:2

HFST. 3

- i Mr 12:17
Ro 13:1
1Pe 2:13, 14
- j Flp 4:5
Jak 3:17
- k Spr 15:1
Ga 6:1
Ef 4:1, 2
1Ti 6:11
2Ti 2:24, 25
1Pe 3:15
- l Lu 6:35
Ro 2:4
Ef 4:32
- m De 9:5
Ro 3:10
Ga 3:21
- n Ro 5:15, 21
Ro 6:23

Tweede kol.

- a Ro 5:18
- b Joh 3:5
Ro 8:23
2Kor 5:17
- c Han 2:33
- d Ro 3:24
Ga 2:15, 16
- e Ro 8:17
- f Ro 6:23
- g 1Ti 1:3, 4
1Ti 6:3-5
- h 1Kor 11:19
Op 2:6
- i Ro 16:17
2Jo 10
- j 2Ti 4:2
- k Han 20:4
Ef 6:21
2Ti 4:12
- l 1Kor 9:14
Ga 6:6
Heb 13:16
- m 1Kor 9:11
- n Kol 1:10

wend gemaak het^a en deur ons nuut te maak met heilige gees.^b **6** Hy het hierdie gees oorvloedig* op ons uitgestort deur Jesus Christus, ons Redder,^c **7** sodat ons, nadat ons op grond van sy onverdiende goedheid regverdig verklaar is,^d erfgename kan word^e wat die hoop het op ewige lewe.^f

8 Hierdie woorde is betroubaar, en ek wil hê dat jy moet aanhou om hierdie dinge te beklemtoon sodat dié wat in God glo, daarop kan konsentreer om goeie werke te bly doen. Hierdie dinge is goed en voordelig vir mense.

9 Maar vermy dwase argumente en geslagsregisters en stryery oor die Wet, want dit bereik niks nie en beteken niks nie.^g **10** As iemand 'n sekte bevorder,^h verwerp homⁱ nadat hy 'n eerste en 'n tweede keer gewaarsku* is,^j **11** omdat jy weet dat so iemand van die weg afgedwaal het en gesondig het en homself veroordeel het.

12 Wanneer ek Ar'temas of Ti'gikus^k na jou toe stuur, moet jy jou bes doen om na my toe te kom in Nikopo'lis, want ek het besluit om die winter daar te bly. **13** Gee Senas, wat die Wet goed ken, en Apol'los alles wat hulle nodig het, sodat hulle niks vir hulle reis sal kortkom nie.^l **14** Maar ons mense moet ook leer om aan te hou met goeie werke en om te help in tye van nood^m sodat hulle nie onproduktief* sal wees nie.ⁿ

15 Almal wat by my is, stuur vir jou groete. Stuur groete vir dié wat vir ons lief is en wat in dié geloof is.

Mag die onverdiende goedheid met julle almal wees.

3:6 *Of "ryklik". **3:10** *Of "vermaan". **3:14** *Lett. "onvrugbaar".

AAN
FILEMON

O O R S I G

Groete (1-3)

Filemon se liefde en geloof (4-7)

Paulus se versoek vir Onesimus (8-22)

Groete (23-25)

1 Van Paulus, 'n gevangene^a ter wille van Christus Jesus, en van Timo'teus^b ons broer. Aan File'mon, ons geliefde medewerker, **2** en aan Ap'fia, ons suster, en aan Argip'pus,^c ons medesoldaat, en aan die gemeente wat in jou huis is:^d

3 Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

4 Ek dank my God altyd wanneer ek jou in my gebede noem,^e

5 want ek hoor die hele tyd van jou geloof en die liefde wat jy vir* die Here Jesus en vir* al die heiliges het. **6** Ek bid dat die geloof wat jy met ander in gemeen het, jou sal beweeg om elke goeie ding te erken wat ons deur middel van Christus het. **7** Want, my broer, toe ek van jou liefde hoor, het dit my baie bly gemaak en my vertrous omdat die harte* van die heiliges deur middel van jou versterk* is.

8 Daarom, al het ek groot gesag in verband met Christus om vir jou te sê om te doen wat gepas is, **9** wil ek jou eerder op grond van liefde vra, omdat ek, Paulus, oud geword het en nou ook 'n gevangene ter wille van Christus Jesus is. **10** Ek pleit

5 *Of "teenoor". 7 *Of "tere geneent-hede". *Of "verkwik".

a Ef 4:1

b Han 16:1, 2
Heb 13:23

c Kol 4:17

d Ro 16:5
1Kor 16:19

e Ef 1:15, 16
1Te 1:2

Tweede kol.

a Kol 4:9

b 1Kor 4:15

c Ef 6:19, 20
Flp 1:7

d 2Kor 9:7

e 1Kor 7:22

f 1Ti 6:2

by jou vir my kind One'simus,^a vir wie ek hier in die gevangenis* 'n pa geword het.^b **11** Hy was vroeër nutteloos vir jou, maar nou is hy nuttig vir jou en vir my. **12** Ek stuur hom terug na jou toe, ja, hy wat vir my baie kosbaar is.*

13 Ek sou hom graag hier by my wou hou sodat hy my in jou plek kan dien terwyl ek in die gevangenis is ter wille van die goeie nuus.^c **14** Maar ek wil niks sonder jou toestemming doen nie, sodat jy jou goeie daad uit vrye wil doen en nie omdat jy gedwing word nie.^d

15 Miskien is dit hoekom hy jou vir 'n kort rukkie* verlaat het, sodat jy hom vir ewig kan terugkry, **16** nie net as 'n slaaf nie,^e maar as 'n geliefde broer.^f Ek is baie lief vir hom en jy sal selfs liewer vir hom wees, as 'n slaaf* en as 'n geliefde broer in die Here. **17** As jy my dan as 'n vriend* beskou, moet jy hom net so vriendelik ontvang soos jy my sou ontvang. **18** En as hy jou enige skade aangedoen het of jou enigiets skuld, sit dit op my rekening. **19** Ek, Paulus, skryf met my eie hand: Ek sal dit terugbetaal – maar jy weet dat

10 *Lett. "boeie". 12 *Of "wat my na aan die hart lê". 15 *Lett. "'n uur". 16 *Lett. "in die vlees". 17 *Lett. "deelgenoot".

jy my selfs jou eie lewe skuld. **20** Ja, broer, mag ek hierdie hulp van jou ontvang in verband met die Here. Versterk my hart* in verband met Christus.

21 Ek is vol vertroue dat jy sal doen wat ek vra, en daarom skryf ek aan jou, want ek weet dat jy selfs meer sal doen as wat ek sê. **22** En nog iets: Maak 'n plek gereed waar ek kan bly, want ek hoop dat ek deur mid-

20 *Of "tere geneenthede".

Tweede kol.

a Flp 2:24

b Kol 1:7

Kol 4:12,13

c Han 19:29

Han 27:2

Kol 4:10

d 2Ti 4:10

e Kol 4:14

del van julle gebede aan julle teruggee* sal word.^a

23 E'pafra^b, my medegevangene in eenheid met Christus Jesus, stuur vir jou groete, **24** en so ook Markus, Aristar^c-gus,^c Demas^d en Lukas,^e my medewerkers.

25 Mag die onverdiende goedheid van die Here Jesus Christus wees met die gees wat julle openbaar.

22 *Of "vir julle vrygelaat".

AAN DIE

HEBREËRS

O O R S I G

- | | |
|---|---|
| <p>1 God praat deur middel van sy Seun (1-4)
Seun hoër as engele (5-14)</p> <p>2 Skenk meer as gewone aandag (1-4)
Alles aan Jesus onderwerp (5-9)
Jesus en sy broers (10-18)
Vernaamste Leier deur wie redding sal kom (10)
'n Genadige hoëpriester (17)</p> <p>3 Jesus groter as Moses (1-6)
Alles deur God gebou (4)
Waarskuwing teen gebrek aan geloof (7-19)
"Vandag, as julle na sy stem luister" (7, 15)</p> <p>4 Gevaar as iemand nie in God se rus ingaan nie (1-10)
Aansporing om in God se rus in te gaan (11-13)
God se woord is lewend (12)
Jesus, die groot hoëpriester (14-16)</p> <p>5 Jesus hoër as menslike hoëpriesters (1-10)
'n Priester soos Melgisedek (6, 10)
Gehoorsaamheid geleer uit wat hy gely het (8)
Verantwoordelik vir ewige redding (9)</p> | <p>Waarskuwing teen onvolwassenheid (11-14)</p> <p>6 Werk hard om geestelik volwasse te word (1-3)
Dié wat afvallig word, hang Seun weer aan paal (4-8)
Sorg dat julle hoop seker is (9-12)
Sekerheid van God se belofte (13-20)
God se belofte en eed onveranderlik (17, 18)</p> <p>7 Melgisedek, unieke koning en priester (1-10)
Christus se priesterskap beter (11-28)
Christus in staat om ten volle te red (25)</p> <p>8 Tabernakel 'n afbeelding van hemelse dinge (1-6)
Ou en nuwe verbond (7-13)</p> <p>9 Heilige diens in aardse heiligdom (1-10)
Christus gaan in die hemel in met sy bloed (11-28)
Middelaar van nuwe verbond (15)</p> <p>10 Diereoffers ondoeltreffend (1-4)
Die Wet, 'n skaduwee (1)
Christus se offerande eens en vir altyd (5-18)</p> |
|---|---|

- Nuwe en lewende weg (19-25)
 Moenie vergaderingbywoning
 verwaarloos nie (24, 25)
 Waarskuwing teen opsetlike
 sonde (26-31)
 Vertroue en geloof om te volhard (32-39)
- 11 Definisie van geloof (1, 2)
 Voorbeelde van geloof (3-40)
 Sonder geloof onmoontlik om God
 se goedkeuring te verkry (6)
- 12 Jesus, Vernaamste Leier van ons
 geloof (1-3)

- Groot wolk van getuies (1)
 Moenie Jehovah se dissipline
 verwerp nie (4-11)
 Maak reguit paaie vir voete (12-17)
 By die hemelse Jerusalem
 gekom (18-29)
- 13 Laaste aansporings en groete (1-25)
 Moenie gasvryheid vergeet nie (2)
 Huwelik moet eerbaar wees (4)
 Gehoorsaam aan dié wat die leiding
 neem (7, 17)
 Bring 'n lofoffer (15, 16)

1 God het lank gelede by baie geleenthede en op baie maniere deur middel van die profete met ons voorvaders gepraat.^a **2** Maar nou, aan die einde van hierdie dae, het hy met ons gepraat deur middel van 'n Seun,^b wat hy as erfgenaam van alles aangestel het^c en deur wie hy die dinge in die hemel en die dinge op die aarde gemaak het.^{*d} **3** Hy is die weerspieëling van God se heerlikheid^e en 'n presiese weergawe van sy persoonlikheid,^f en hy hou alles in stand deur sy kragtige woord. En nadat hy ons van sondes gereinig het,^g het hy aan die regterhand van die Majesteit in die hemel gaan sit.^h **4** So het hy beter as die engele gewordⁱ omdat hy 'n naam geërf het wat hulle s'n oortref.^j

5 Vir watter een van die engele het God byvoorbeeld ooit gesê: "Jy is my seun. Vandag het ek jou vader geword"^{?k} En ook: "Ek sal sy vader word," en hy sal my seun word"^{?l} **6** Maar wanneer hy sy Eersgeborene^m weer na die aarde stuur, sê hy: "En al

1:2 *Of "deur wie hy die stelsels van dinge gemaak het". Sien Woordelys.

HFST. 1

- a Eks 24:3
 Nu 12:8
 Jer 7:25
 b Mt 17:5
 c Ps 2:8
 d Joh 1:3
 1Kor 8:6
 Kol 1:16
 e Joh 1:14
 Joh 17:5
 f Kol 1:15
 g Heb 9:26
 h Ps 110:1
 Han 2:32, 33
 Han 7:55
 i Ef 1:20, 21
 1Pe 3:22
 j Han 4:12
 Flp 2:9, 10
 k Ps 2:7
 l 2Sa 7:14
 Mr 1:11
 Lu 9:35
 2Pe 1:17
 m Joh 1:14
 Ro 8:29
 Kol 1:15

Tweede kol.

- a Ps 91:11
 Lu 22:43
 b Ps 104:4
 c Mt 28:18
 Op 3:21
 d Jes 61:1
 Lu 3:21, 22
 Lu 4:18
 e Ps 45:6, 7
 f Ps 102:25-27
 g Ps 110:1
 Mt 22:44

God se engele moet aan hom eer bewys."^{*f}

7 Oor die engele sê hy: "Hy maak sy engele geeste en sy dienaars"^{*a} soos die vlamme van 'n vuur."^b **8** Maar oor die Seun sê hy: "God is u troon^c vir ewig en altyd, en die septer van u Koninkryk is die septer van geregtigheid. **9** U was lief vir regverdigheid en het wetteloosheid gehaat. Daarom het God, u God, u met die olie van vreugde gesalf,^d meer as u metgeselle."^e **10** En: "U, o Here, het aan die begin die fundamente van die aarde gelê, en die hemel is die werke van u hande. **11** Hulle sal ophou bestaan, maar u sal bly bestaan. Net soos 'n kledingstuk sal hulle almal oud word, **12** en u sal hulle net soos 'n mantel oprol, soos 'n kledingstuk, en hulle sal vervang word. Maar u is dieselfde, en u jare sal nooit tot 'n einde kom nie."^f

13 Maar oor watter een van die engele het hy ooit gesê: "Sit aan my regterhand totdat ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak"^{?g} **14** Is hulle nie al-

1:6 *Of "voor hom neerbuig". 1:7 *Of "openbare dienaars".

mal geeste vir heilige* diens,^a wat uitgestuur word om dié te dien wat redding gaan ontvang nie?

2 Daarom is dit nodig dat ons meer as die gewone aandag skenk aan die dinge wat ons gehoor het,^b sodat ons nooit wegdryf nie.^c **2** Want as die woord wat deur middel van engele verkondig is,^d vervul is sodat elke oortreding en ongehoorsame daad in ooreenstemming met geregtigheid gestraf is,^e **3** hoe sal ons dan kan vlug as ons so 'n groot redding laat verbygaan het?^f Want dit is eers deur middel van ons Here bekend gemaak^g en is vir ons bevestig deur dié wat hom gehoor het. **4** God het ook saam getuig deur tekens en wonderwerke en allerhande kragtige werke te doen^h en deur die heilige gees volgens sy wil uit te deel.ⁱ

5 Want hy het die toekomstige bewoonde aarde waarvan ons praat,^j nie aan engele onderwerp nie. **6** Maar iemand het érens getuig: "Wat is die mens dat u aan hom dink, of 'n mensekind dat u vir hom sorg?"^k **7** U het hom 'n bietjie laer as engele gemaak. U het hom met heerlijkheid en eer gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. **8** U het alles onder sy voete geplaas."^l Deur alles aan hom te onderwerp,^m het God niks uitgesluit wat nie aan hom onderwerp is nie.ⁿ Maar nou sien ons nog nie dat alles aan hom onderwerp is nie.^o **9** Maar ons sien wel dat Jesus, wat 'n bietjie laer as engele gemaak is,^p met heerlijkheid en eer gekroon is omdat hy die dood ondergaan het.^q Deur God se onverdiende goedheid het hy die dood vir elke mens ervaar.^r

1:14 *Of "openbare".

HFST. 1

a Ps 34:7
Ps 91:11
Han 5:18, 19

HFST. 2

b Lu 8:15
c Ps 73:2
Heb 3:12
2Pe 3:17
d Ga 3:19
e De 4:3
Jud 5
f Heb 10:28, 29
g Mr 1:14
h Han 2:22
i 1Kor 12:11
j Han 17:31
2Pe 3:13
k Ps 144:3
l Ps 8:4-6
m Mt 28:18
1Kor 15:27
Ef 1:22
n 1Pe 3:22
o Ps 110:1
p Flp 2:7
q Op 5:9
r Jes 53:5, 8
Ro 5:17
1Ti 2:5, 6

Tweede kol.

a Ro 8:18, 19
2Kor 6:18
b Han 5:31
Heb 12:2
c Lu 24:26
Heb 5:8
d Joh 17:19
Heb 10:14
e Joh 20:17
f Mt 12:50
Ro 8:29
g Ps 22:22
h Jes 8:17
i Jes 8:18
j Joh 1:14
k Job 1:19
l Ge 3:15
Lu 10:18
Joh 8:44
1Jo 3:8
Op 12:9
m Jes 25:8
Ro 8:20, 21
1Kor 15:26
n Ga 3:29
o Flp 2:7
p Ro 3:25
1Jo 2:1, 2
1Jo 4:10
q Ro 5:10
r Heb 4:15
s Heb 7:25
Op 3:10

HFST. 3

t Flp 3:14
1Te 2:12
u Heb 8:1
v Joh 8:29

10 Om baie kinders tot heerlijkheid te lei,^a het die Een vir wie alles is en deur wie alles is, dit gepas gevind om die een deur wie redding vir hulle moontlik gemaak is,^b tot volmaaktheid te bring deur hom te laat ly.^c **11** Want die een wat heilig so wel as dié wat geheilig word,^d is almal afstammeling van dieselfde vader,^e en daarom is hy nie skaam om hulle broers te noem nie,^f **12** want hy sê: "Ek sal u naam aan my broers bekend maak. Ek sal u in die gemeente loof deur liedere te sing."^g **13** En hy sê ook: "Ek sal op hom vertrou."^h En ook: "Kyk! Ek en die jong kinders, wat Jehovah* my gegee het."ⁱ

14 Aangesien die "jong kinders" dan vlees en bloed is, het hy ook vlees en bloed geword/ sodat hy deur sy dood die een kan vernietig wat die vermoë het om die dood te veroorsaak,^k naamlik die Duiwel,^l **15** en sodat hy almal kan bevry wat hulle hele lewe lank slawe was omdat hulle bang was vir die dood.^m **16** Want in werklikheid help hy nie engele nie, maar Abraham se nageslag.*ⁿ **17** Gevolglik moes hy in alle opsigte soos sy "broers" word.^o So kon hy 'n genadige en getroue hoëpriester in die diens van God word om 'n versoeningsoffer^p vir die sondes van die volk te bring.^q **18** Hy het self gely toe hy getoets is,^r en daarom kan hy dié help wat getoets word.^s

3 Daarom, heilige broers, wat geroep* is om hemel toe te gaan,^t dink na oor die apostel en hoëpriester wat ons erken - Jesus.^u **2** Hy was getrou aan die Een wat hom aangestel het,^v net soos Moses ook in die hele

2:10 *Of "die Hoofbewerker van hulle redding". 2:13 *Sien Aanh. A5. 2:16 *Lett. "saad". 3:1 *Of "genooi".

huis van God was.^a **3** Want Jesus verdien meer eer as Moses,^b aangesien die een wat 'n huis bou, meer eer as die huis self het. **4** Elke huis word natuurlik deur iemand gebou, maar die een wat alles gebou het, is God. **5** Moses was getrou as 'n dienaar in die hele huis van daardie Een, en sy diens was 'n getuigenis van die dinge wat later bekend gemaak sou word. **6** Maar Christus was getrou as 'n seun^c oor God se huis. Ons is Sy huis^d as ons tot die einde toe aanhou om moedig te praat en stewig vashou aan die hoop waarop ons trots is.

7 Daarom, net soos die heilige gees sê:^e "Vandag, as julle na sy stem luister, **8** moet julle nie julle harte verhard soos die keer toe julle my bitter kwaad gemaak het, soos op die dag toe julle my in die wildernis getoets het nie.^f **9** Daar het julle voorvaders my getoets en uitgedaag, al het hulle 40 jaar lank my werke gesien.^g **10** Daarom het hierdie geslag vir my iets walgliks geword, en ek het gesê: 'Hulle dwaal altyd in hulle harte af, en hulle het nie my weë leer ken nie.' **11** Ek het dus in my woede gesweer: 'Hulle sal nie in my rus ingaan nie.'^h

12 Pasop, broers, dat nie een van julle ooit 'n goddelose, ongelowige hart ontwikkel deurdat hy van die lewende God weg beweeg nie.ⁱ **13** Maar hou aan om mekaar elke dag aan te moedig, solank dit "Vandag"^j genoem word, sodat niemand van julle verhard word omdat hy deur die krag van sonde bedrieg is nie. **14** Want ons sal slegs ontvang wat die Christus ontvang het* as ons tot die einde toe stewig vashou aan die

3:14 *Lett. "deelgenote van die Christus word".

HFST. 3

a Nu 12:7

b Mt 17:1, 2

c Mt 17:5

d 1Pe 2:5

e 2Sa 23:2
Han 1:16

f Eks 17:7

g Eks 16:35
Nu 32:13
Ps 95:9

h Nu 14:22, 23
Ps 95:7-11

i Heb 2:1

j Ps 95:7

Tweede kol.

a Op 2:10

b Ps 95:7, 8

c Eks 17:1-3
Nu 14:2, 4

d Nu 14:11
De 32:21

e Nu 14:22, 23
Nu 14:28-30
Jud 5

f Heb 4:6

HFST. 4

g Heb 3:12, 13

h Mt 4:23
Han 15:7
Kol 1:23

i Ps 95:11
Heb 3:11

j Eks 31:17

k Ge 2:2, 3

l Ps 95:11

vertrou wat ons aan die begin gehad het.^a **15** Soos daar gesê is: "Vandag, as julle na sy stem luister, moet julle nie julle harte verhard soos die keer toe julle my bitter kwaad gemaak het nie."^b

16 Want wie het sy stem gehoor en hom tog bitter kwaad gemaak? Was dit nie in werklikheid almal wat onder Moses se leiding uit Egipte uitgegaan het nie?^c **17** En wie het 40 jaar lank vir God walglik geword?^d Was dit nie dié wat gesondig het, wie se lyke in die wildernis geval het nie?^e **18** En aan wie het hy gesweer dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie? Was dit nie aan dié wat ongehoorsaam was nie? **19** Ons sien dus dat hulle weens 'n gebrek aan geloof nie kon ingaan nie.^f

4 Aangesien die belofte om in sy rus in te gaan, nog steeds geld, moet ons oppas* dat nie een van ons as onwaardig beskou word om dit te ontvang nie.^g **2** Want die goeie nuus is ook aan ons bekend gemaak,^h net soos aan hulle. Maar die woord wat hulle gehoor het, het hulle nie help nie omdat hulle nie dieselfde geloof gehad het as dié wat geluister het nie. **3** Want ons wat geloof beoefen het, gaan wel in die rus in, net soos hy gesê het: "Ek het dus in my woede gesweer: 'Hulle sal nie in my rus ingaan nie,'"ⁱ al was sy werke van die begin van die mensdom* af reeds voltooi.^j **4** Want op een plek het hy die volgende van die sewende dag gesê: "En God het op die sewende dag van al sy werke gerus",^k **5** en hier sê hy weer: "Hulle sal nie in my rus ingaan nie."^l

6 Party moet dus nog daar ingaan, en dié aan wie die goeie

4:1 *Lett. "vrees". 4:3 *Of "grondlegging van die wêreld".

nuus eerste bekend gemaak is, het nie ingegaan nie omdat hulle ongehoorsaam was.^a **7** Daarom stel hy dus weer 'n sekere dag vas, wat "Vandag" genoem word. Want hy het lank ná die tyd in Dawid se psalm die woorde gesê wat vroeër genoem is: "Vandag, as julle na sy stem luister, moet julle nie julle harte verhard nie."^b **8** Want as Josua^c hulle in 'n plek van rus ingelei het, sou God nie agterna van 'n ander dag gepraat het nie. **9** Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.^d **10** Want die mens wat in God se rus ingegaan het, het ook van sy eie werke gerus, net soos God van syne gerus het.^e

11 Laat ons dan ons bes doen om in daardie rus in te gaan, sodat niemand in dieselfde patroon van ongehoorsaamheid verval nie.^f **12** Want die woord van God is lewend en kragtig^g en skerper as enige tweesnydende swaard.^h Dit dring diep in 'n mens in en skei siel en gees,^{*} en dit skei die gewrigte van die murg, en dit kan gedagtes en bedoelings van die hart openbaar.[†] **13** En daar is nie 'n skepping wat God nie kan sien nie,ⁱ maar alles is oop en bloot voor die oë van die Een aan wie ons 'n antwoord moet gee.^j

14 Aangesien ons 'n groot hoëpriester het wat in die hemel ingegaan het, Jesus, die Seun van God,^k moet ons aanhou om ons geloof in hom in die openbaar bekend te maak.^l **15** Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede kan simpatiseer nie,^m maar ons het een wat in alle opsigte soos ons getoets is, maar sonder sonde.ⁿ **16** Laat ons dan die troon van

4:12 *Of "die uiterlike en die innerlike". Sien Woordelys, "Siel" en "Gees". [†]Of "onderskei".

HFST. 4

a Nu 14:30
De 31:27

b Ps 95:7, 8

c Eks 24:13
De 1:38

d Mr 2:28

e Ge 2:2, 3

f Ps 95:11

g Jer 23:29
1Te 2:13

h Ef 6:17

i Ps 7:9
Ps 90:8
Spr 15:11

j Han 17:31
Ro 2:16
Ro 14:12

k Mr 1:11

l Heb 10:23

m Jes 53:4
Heb 2:17

n Heb 7:26
1Pe 2:22

Tweede kol.

a Ef 3:11, 12
Heb 10:19-22

HFST. 5

b Eks 40:13

c Le 5:6

d Le 9:7
Le 16:6

e Eks 28:1

f Joh 8:54

g Ps 2:7
Han 13:33

h Ps 110:4

i Lu 22:44
Joh 12:27

j Mt 26:39
Flp 2:8

k Heb 7:28

l Joh 3:16

m Ps 110:4

onverdiende goedheid met vrymoedigheid nader,^a sodat ons genade kan ontvang en onverdiende goedheid kan vind om ons op die regte tyd te help.

5 Want elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, word in die diens van God aangestel ter wille van mense,^b sodat hy gawes en offerandes vir sondes kan bring.^c **2** Hy kan medelye* betoon aan dié wat nie van beter weet nie en wat foute maak,[†] omdat hy ook sy eie swakhede het, **3** en daarom moet hy nie net offerandes bring vir die sondes van die volk nie, maar ook vir sy eie sondes.^d

4 Niemand kan homself hierdie eer gee nie, maar hy ontvang dit net wanneer hy deur God geroep word, net soos Aäron geroep is.^e **5** So ook het die Christus nie homself die eer gegee^f deur 'n hoëpriester te word nie, maar hierdie eer is vir hom gegee deur die Een wat vir hom gesê het: "Jy is my seun. Vandag het ek jou vader geword."^g **6** Erens anders sê hy ook: "Jy is vir ewig 'n priester soos Melgise'dek."^h

7 Gedurende sy lewe op aarde* het Christus met sterk uitroep en tranenⁱ smeekbede en gebede gedoen tot die Een wat hom uit die dood kon red, en sy gebede is beantwoord omdat hy God gevrees het. **8** Al was hy 'n seun, het hy gehoorsaamheid geleer uit die dinge wat hy gely het.^j **9** En nadat hy volmaak geword het,^k het hy verantwoordelik geword vir die ewige redding van almal wat hom gehoorsaam,^l **10** want hy is deur God aangestel om 'n hoëpriester soos Melgise'dek te wees.^m

5:2 *Sien Woordelys. [†]Of "wat af-dwaal". 5:7 *Lett. "In die dae van sy vlees".

11 Ons het baie om oor hom te sê, en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle traag geword het om te luister.*

12 Julle behoort teen dié tyd al onderrigters te wees, maar julle het weer iemand nodig om julle van die begin af die basiese* dinge^a van die heilige verklaarings van God te leer. Julle het nou weer melk nodig in plaas van vaste voedsel. **13** Want elkeen wat aanhou om van melk te lewe, is onbekend met die woord van regverdigheid, want hy is 'n jong kind.^b **14** Maar vaste voedsel is vir volwasse mense, vir dié wat hulle denkermoë* geoefen het deur dit te gebruik, sodat hulle kan onderskei wat reg en wat verkeerd is.

6 Noudat ons die basiese leringe^c oor die Christus agtergelaat het, moet ons hard werk om geestelik volwasse te word.^d Laat ons dit doen sonder om weer 'n fondament te lê, naamlik berou oor dooie werke, geloof in God, **2** die leringe oor verskillende dope, die oplê van hande,^e die opstanding van die dooies^f en die ewige oordeel. **3** En met God se hulp sal ons dit doen.

4 Want dié wat voorheen die lig ontvang het^g en wat die hemelse vrye gawe geproe en heilige gees ontvang het **5** en wat die goeie woord van God en kragte van die wêreld wat kom,* ondervind het, **6** maar wat afvallig geword het,^h kan nie gehelp word om weer berou te toon nie, want hulle hang die Seun van God weer aan die paal vir hulleself en maak 'n bespotting van hom in die openbaar.ⁱ **7** Want die grond ontvang 'n

5:11 *Of "afgestomp geword het in julle gehoor". 5:12 *Of "elementêre". 5:14 *Of "waarnemingsvermoëns". 6:5 *Of "die komende stelsel van dinge". Sien Woordelys.

HFST. 5

a Heb 6:1

b Ef 4:14

HFST. 6

c Heb 5:12

d 1Kor 14:20

Ef 4:13

Heb 5:14

e Han 8:17

f Mt 22:31

Joh 5:28, 29

Joh 11:25

g Ef 1:18

Heb 10:26

h 1Jo 2:19

i Heb 10:29

Tweede kol.

a Heb 10:32, 33

b Heb 3:14

c 1Pe 1:3, 4

d Ro 12:11

Op 2:4

e Ge 22:16

f Ge 22:17

g Ge 31:53

h Ga 3:29

i Nu 23:19

Tit 1:2

seën van God wanneer dit die reën indrink wat dikwels daarop val en dan 'n oes voortbring vir dié wat dit bewerk. **8** Maar as dit dorings en dissels voortbring, word dit verwerp en word dit amper vervloek, en uiteindeelik sal dit verbrand word.

9 Maar al sê ons dit, geliefdes, is ons in julle geval oortuig van iets beters, iets wat tot redding lei, al praat ons so. **10** Want God is nie onregverdig nie. Hy sal nie vergeet van julle werk en die liefde wat julle vir sy naam getoon het^a deurdat julle die heiliges gedien het en bly dien nie. **11** Maar ons wil hê dat elkeen van julle net so hardwerkend moet wees sodat julle hoop tot die einde toe^b heeltemal seker kan wees,^c **12** sodat julle nie lui sal word nie,^d maar navolgers sal wees van dié wat deur geloof en geduld die beloftes sal ontvang.

13 Want toe God sy belofte aan Abraham gemaak het, het hy by homself gesweer^e omdat hy by niemand groter kon sweer nie **14** en gesê: "Ek sal jou beslis seën en jou beslis vermeerder."^f **15** En nadat Abraham geduldig gewag het, het hy hierdie belofte ontvang. **16** Want mense sweer by iemand wat groter as hulle is, en hulle eed is die einde van elke saak, aangesien dit vir hulle 'n wetlike waarborg is.^g **17** Toe God besluit het om vir die erfgename van die belofte^h duideliker te toon dat sy voorneme* nie kan verander nie, het hy dit op dieselfde manier met 'n eed gewaarborg.[#] **18** Hierdie twee dinge is onveranderlik, en dit is onmoontlik vir God om te lieg.ⁱ Deur middel daarvan kry ons wat na die skuilplek gevlug het, die krag-

6:17 *Of "raad". #Of "met 'n eed in-getree". Lett. "met 'n eed bemiddel".

tige aanmoediging om stewig vas te hou aan die hoop wat ons het. **19** Ons het hierdie hoop^a as 'n anker vir die siel.* Dit is seker en vas en lei ons verby die gordyn,^{#b} **20** waar 'n voorloper ter wille van ons ingegaan het, naamlik Jesus,^c wat vir ewig 'n hoëpriester soos Melgise'dek geword het.^d

7 Want hierdie Melgise'dek, die koning van Salem, priester van die allerhoogste God, het na Abraham toe gegaan toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings oorwin het. Hy het Abraham geseën,^e **2** en Abraham het hom 'n tiende van alles gegee. Eerstens word sy naam as "koning van regverdigheid" vertaal, en dan is hy ook koning van Salem, dit wil sê "koning van vrede". **3** Hy is sonder pa of ma of geslagsregister, en niemand weet wanneer hy gebore is of gesterf het nie. Maar omdat hy soos die Seun van God gemaak is, bly hy vir altyd 'n priester.^f

4 Kyk dan hoe belangrik hierdie man was aan wie Abraham, die familiehoof,* 'n tiende gegee het van die beste dinge wat hy in die oorlog gevat het.^g **5** Volgens die Wet moet dié wat as priesters uit die kinders van Levi aangestel is,^h tiendes van die volk insamel,ⁱ dit wil sê van hulle broers, al is hulle nakomelinge van Abraham.* **6** Maar hierdie man, wat nie 'n nakomeling van die kinders van Levi was nie, het tiendes van Abraham geneem en die een geseën wat die beloftes gehad het.^j **7** Niemand kan ontken dat die een wat minder belangrik is, geseën word deur die een wat be-

6:19 *Of "ons lewens". #Of "voorangsel". **7:4** *Of "aartsvader". **7:5** *Lett. "al het hulle uit Abraham se lendene gekom".

HFST. 6

a 1Pe 1:3, 4

b Le 16:2, 12
Heb 9:7
Heb 10:19, 20

c Heb 4:14

d Ps 110:4
Heb 5:6

HFST. 7

e Ge 14:17-20

f Ps 110:4

g Ge 14:20

h Eks 40:12, 15

i Nu 18:21, 26
De 14:28j Ge 12:7
Ge 14:18-20
Ge 17:6
Ge 22:17

Tweede kol.

a Heb 7:3

b Ge 14:18

c Ro 3:20
Heb 7:19
Heb 9:9
Heb 10:1

d Ps 110:4

e Ro 3:27
1Kor 9:21
Ga 6:2
Kol 2:13, 14

f Nu 18:6, 7

g Ge 49:10
Mt 1:1, 3
Lu 3:23, 33h Heb 3:1
Heb 7:26

i Ps 110:4

j Ro 6:9
1Ti 6:16

k Ps 110:4

l Ro 8:3
Heb 9:9
Heb 13:9

langrik is nie. **8** En in die een geval word tiendes ontvang deur mense wat sterf, maar in die ander geval deur iemand van wie getuig word dat hy lewe.^a **9** En daar kan gesê word dat selfs Levi, wat tiendes ontvang, deur middel van Abraham tiendes betaal het, **10** want hy was nog in die liggaam* van sy voorvader toe Melgise'dek na hom toe gegaan het.^b

11 As volmaaktheid dan werklik deur die Levitiese priesterskap verkry kon word^c (want dit was 'n kenmerk van die Wet wat aan die volk gegee is), hoe kom sou dit nog nodig wees dat 'n ander priester opstaan, 'n priester soos Melgise'dek^d en nie soos Aäron nie? **12** Aangesien die priesterskap verander word, moet die Wet ook verander word.^e **13** Want die man van wie hierdie dinge gesê word, kom uit 'n ander stam, en niemand uit daardie stam het by die altaar diens gedoen nie.^f **14** Dit is duidelik dat ons Here 'n nakomeling van Juda is,^g en tog het Moses nooit gesê dat priesters uit daardie stam sou kom nie.

15 En dit word nog duideliker wanneer daar 'n ander priester^h verskyn wat soos Melgise'dek is.ⁱ **16** Hy dien nie as 'n priester omdat hy uit die stam gekom het* wat deur die Wet vereis is nie, maar op grond van die krag wat hom 'n onvernietigbare lewe gee.^j **17** Want die volgende word van hom getuig: "Jy is vir ewig 'n priester soos Melgise'dek."^k

18 Daarom word daar 'n einde gemaak aan die vorige gebod omdat dit swak en ondoeltreffend is.^l **19** Want die Wet het niks tot volmaaktheid gebring

7:10 *Lett. "lendene". **7:16** *Of "op grond van die vleeslike afstamming".

nie,^a maar die beter hoop wat aan ons gegee is,^b het wel, en as gevolg daarvan kom ons nader aan God.^c **20** Hierdie priester het ook nie verskyn sonder dat 'n eed gesweer is nie. **21** (Daar is wel manne wat priesters geword het sonder dat 'n eed gesweer is, maar hierdie priester het 'n priester geword toe 'n eed oor hom gesweer is deur die Een wat gesê het: "Jehovah* het gesweer, en hy sal nie van gedagte verander# nie: 'Jy is vir ewig 'n priester.'")^d **22** En so het Jesus die waarborg geword van 'n beter verbond.^e **23** Verder moes baie priesters mekaar opvolg^f omdat die dood gekeer het dat hulle as priesters bly dien, **24** maar omdat hy vir ewig bly lewe,^g sal niemand hom as priester opvolg nie. **25** Daarom is hy ook in staat om dié wat God deur middel van hom nader, ten volle te red, want hy is altyd lewend om vir hulle te pleit.^h

26 Want dit is gepas vir ons om so 'n hoëpriester te hê wat lojaal, onskuldig, onbesmet,ⁱ afgeskeie van die sondaars en hoër as die hemel is.^j **27** Anders as daardie hoëpriesters, hoef hy nie elke dag eers vir sy eie sondes offers te bring^k en dan vir dié van die volk nie,^l want hy het dit eens en vir altyd gedoen toe hy homself geoffer het.^m **28** Want die Wet stel mense met swakhede as hoëpriesters aan,ⁿ maar die woord van die eed^o wat ná die Wet gesweer is, stel 'n Seun aan, wat vir ewig tot volmaaktheid gebring is.^p

8 Hier is dan nou die hoofpunt van wat ons sê: Ons het so 'n hoëpriester,^q en hy het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die he-

7:21; 8:2, 8-10 *Sien Aanh. A5. 7:21 #Of "spyt voel".

HFST. 7

- a Han 13:38, 39
- Ga 2:15, 16
- Heb 10:1
- b 1Pe 1:3, 4
- c Joh 14:6
- Heb 4:16
- d Ps 110:4
- e Jer 31:31
- Mt 26:27, 28
- 1Kor 11:25
- Heb 8:6
- Heb 9:15
- Heb 12:22, 24
- f 1Kor 6:4
- g Lu 1:33
- Heb 7:15, 16
- h Ro 8:34
- 1Ti 2:5
- Heb 9:24
- 1Jo 2:1
- i Jes 53:9
- 1Pe 2:21, 22
- j Ef 1:20, 21
- 1Pe 3:22
- k Nu 28:3
- l Le 9:8, 15
- m Ro 6:10
- Heb 9:28
- Heb 10:14
- n Le 16:11
- o Ps 2:7
- Ps 110:4
- p Heb 2:10
- Heb 5:9

HFST. 8

- q Heb 3:1
- Heb 7:26

Tweede kol.

- a Ps 110:1
- Heb 1:3
- b Heb 9:8, 24
- c Ef 5:2
- d Heb 7:14
- e Kol 2:16, 17
- Heb 10:1
- f Heb 9:9, 24
- g Eks 25:9, 40
- Eks 26:30
- Nu 8:4
- h 1Ti 2:5
- i 1Kor 11:25
- Heb 7:22
- Heb 9:15
- Heb 12:22, 24
- j Ps 110:4
- Ro 8:17
- k Heb 7:11, 18
- l Eks 12:51
- m Ro 2:29

mel gaan sit,^a **2** 'n dienaar# in die heiligdom^b en die ware tent, wat deur Jehovah* opgerig is, nie deur 'n mens nie. **3** Want elke hoëpriester word aangesetel om gawes sowel as offerandes te bring. Daarom moes hierdie hoëpriester ook iets hê om te offer.^c **4** As hy op die aarde was, sou hy nie 'n priester wees nie^d omdat daar alreeds manne is wat die gawes volgens die Wet offer. **5** Hierdie manne doen heilige diens as 'n afbeelding en 'n skaduwee^e van die hemelse dinge.^f Dit kan ook gesien word uit die volgende opdrag wat God aan Moses gegee het toe hy die tent moes maak: "Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat op die berg vir jou gewys is."^g **6** Maar nou het Jesus 'n baie beter bediening* verkry, want hy is ook die middelaar^h van 'n beter verbond,ⁱ wat wetlik bevestig is op beter beloftes.^j

7 As daardie eerste verbond foutloos was, sou 'n tweede een nie nodig gewees het nie.^k **8** Hy vind fout met die volk wanneer hy sê: "'Kyk! Die dae kom,' sê Jehovah,* 'wanneer ek met die huis van Israel en met die huis van Juda 'n nuwe verbond sal maak. **9** Dit sal nie wees soos die verbond wat ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe ek hulle hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie.' Want hulle het nie in my verbond gebly nie, en daarom het ek opgehou om vir hulle om te gee,' sê Jehovah.*

10 "'Want dit is die verbond wat ek ná daardie dae met die huis van Israel sal maak,' sê Jehovah.* 'Ek sal my wette in hulle verstande sit, en ek sal dit in hulle harte skryf.^m En ek sal

8:2 #Of "openbare dienaar". 8:6 #Of "openbare diens".

hulle God word, en hulle sal my volk word.^a

11 “Hulle sal nie meer elkeen sy medeburger en elkeen sy broer leer en sê: “Ken Jehovah!”* nie. Want hulle almal sal my ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle. **12** Want ek sal hulle vergewe vir hulle onregverdige dade, en ek sal nie meer aan hulle sondes dink nie.”^b

13 Deur te sê “’n nuwe verbond”, het hy die vorige verbond verouderd gemaak.^c En wat verouderd gemaak is en oud word, staan op die punt om te verdwyn.^d

9 Die vorige verbond het wetlike vereistes vir heilige diens gehad, en ook ’n heiligdom^e op die aarde. **2** Want ’n eerste tentafdeling is gemaak, waarin die lampstaander^f en die tafel en die uitstalling van die offerbrode* was,^g en dit is die Heilige^h genoem. **3** Maar agter die tweede gordyn*ⁱ was die tentafdeling wat die Allerheiligste^j genoem is. **4** In die Allerheiligste was ’n goue vuurbak^k en die ark van die verbond,^l wat met goud oorgetrek was.^m Binne-in die ark was die goue houer met die manna,ⁿ Aäron se staf wat bloeisels gehad het^o en die kliptablette^p van die verbond. **5** Bo-op was die glorieryke gerubs wat die versoendeksel*^q oorskadu het. Maar dit is nie nou die tyd om in besonderhede oor hierdie dinge te praat nie.

6 Nadat hierdie dinge so gemaak is, sou die priesters gereeld in die eerste tentafdeling ingaan om die heilige dienste te verrig,^r **7** maar die hoëpriester sou een keer per jaar alleen in die tweede afdeling ingaan,^s en

HFST. 8

- a 2Kor 6:16
b Jer 31:31-34
c Ro 10:4
Heb 7:12
d Kol 2:13, 14

HFST. 9

- e Eks 25:8
f Nu 4:9
g Eks 40:22-24
h Eks 26:33
i Eks 36:35
j Eks 26:31, 33
k Le 16:12
Op 8:3
l Eks 40:21
m Eks 25:10, 11
n Eks 16:33
o Nu 17:10
p Eks 32:15
q Eks 25:18, 22
Nu 7:89
r Le 24:3, 4
s Le 16:2

Tweede kol.

- a Eks 30:10
Le 16:14
b Le 16:6, 11
c Le 16:15
d Heb 10:19, 20
e Kol 2:16, 17
Heb 8:5
Heb 10:1
f Le 23:37, 38
g Ga 3:21
Heb 7:11, 19
h Eks 30:17-19
i Nu 19:13
j Heb 12:24
Heb 13:20
k Da 9:24
Mt 20:28
1Ti 2:5, 6
l Le 16:6, 15
m Nu 19:9,
17, 19
n 1Pe 1:18, 19
o 1Jo 1:7
p Ro 12:1

hy sou altyd bloed bring^a wat hy vir homself sou offer^b en vir die sondes wat die volk^c uit onkunde gepleeg het. **8** Die heilige gees maak dit dus duidelik dat die weg tot in die heiligdom nie geopenbaar is terwyl die eerste tent nog bestaan het nie.^d **9** Hierdie tent is ’n illustrasie vir die huidige tyd,^e en volgens hierdie reëling word gawes sowel as offerandes gebring.^f Maar hierdie dinge kan nie die gewete van die man wat heilige diens doen, tot volmaaktheid bring nie.^g **10** Dit het net te doen met kos en drank en verskillende seremoniële reinigings.^h Dit was wetlike vereistes wat verband gehou het met die liggaam,ⁱ en dit is opgelê tot die vasgestelde tyd om dinge reg te stel.

11 Maar toe Christus gekom het as ’n hoëpriester van die goeie dinge wat alreeds gebeur het, het hy deur die groter en volmaakter tent gegaan wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê wat nie van hierdie skepping is nie. **12** Hy het eens en vir altyd in die heiligdom ingegaan, nie met die bloed van bokke en jong bulle nie, maar met sy eie bloed,^j en hy het ’n ewige verlossing* vir ons verkry.^k **13** Die bloed van bokke en bulle^l en die as van ’n jong koei word op onrein mense gesprinkel om hulle liggame* te reinig en te heilig.^m **14** Maar die bloed van die Christus doen soveel meer!ⁿ Hy het homself deur middel van die ewige heilige gees as ’n onbesmette offer vir God aangebied, en dit reinig ons gewetens van dooie werke^o sodat ons heilige diens vir die lewende God kan doen.^p

9:10 *Lett. “verskeie dope”. **9:12** *Lett. “loskoping; bevryding”. **9:13** *Lett. “vlees”.

8:11 *Sien Aanh. A5. **9:2** *Of “aanbiedingsbrode”. **9:3** *Of “voorhangsel”. **9:5** *Of “plek van versoening”.

15 Daarom is hy 'n middelaar van 'n nuwe verbond^a sodat dié wat geroep is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.^b Hy het gesterf om hulle deur 'n losprys^c te bevry van die oortredings onder die vorige verbond.

16 Want wanneer 'n verbond gemaak word, moet die dood van die mens wat die verbond gemaak het, eers bevestig word.

17 'n Verbond tree in werking by die dood, want dit is nog nie in werking terwyl die mens wat die verbond gemaak het, lewe nie. **18** Daarom het die vorige verbond ook nie sonder bloed in werking getree nie. **19** Want toe Moses al die gebooe van die Wet aan die hele volk oorgedra het, het hy die bloed van die jong bulle en die bokke met water gemeng. Hy het helderrooi wol en hisop gebruik om dit op die boek* en die hele volk te sprinkel, **20** en hy het gesê: "Dit is die bloed van die verbond wat God julle beveel het om te onderhou."^d **21** Net so het hy die bloed op die tent en op al die houers van die heilige* diens gesprinkel.^e **22** Ja, volgens die Wet word byna alles met bloed gereinig,^f en as bloed nie uitgestort word nie, word geen sondes vergewe nie.^g

23 Daarom was dit nodig dat die afbeeldings^h van die dinge in die hemel op hierdie manier gereinig word,ⁱ maar die hemelse dinge vereis offerandes wat veel beter is. **24** Want Christus het nie in 'n heiligdom ingegaan wat met hande gemaak is^j en wat 'n kopie van die werklikheid is nie,^k maar in die hemel self.^l Dit was sodat hy nou vir ons voor God kan verskyn,^m **25** en nie om homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke

9:19 *Of "boekrol". 9:21 *Of "openbare".

HFST. 9

a Lu 22:20
1Ti 2:5
Heb 12:22, 24

b Ro 8:17

c Mt 20:28

d Eks 24:6-8

e Eks 29:12
Le 8:15

f Le 17:11

g Le 9:7-9

h Heb 8:5
Heb 9:9

i Le 16:19, 20

j Heb 8:1, 2

k Kol 2:16, 17

l Heb 6:19, 20
Heb 9:12

m Le 16:15
Ro 8:34

Tweede kol.

a Le 16:2, 34

b Da 9:24
Heb 7:27
1Pe 3:18

c Jes 53:12
Ro 6:10
1Pe 2:24

d 2Ti 4:8
Tit 2:13

HFST. 10

e Heb 8:5

f Kol 2:16, 17

g Heb 7:19
Heb 9:9

h Le 16:34

i Ps 40:6

jaar in die heiligdom ingaan^a met bloed wat nie sy eie is nie.

26 Anders sou hy van die begin van die mensdom* af dikwels moes ly. Maar nou het hy hom eens en vir altyd aan die einde van die tydperke^b geopenbaar om ontslae te raak van sonde deur homself te offer.^b **27** En net soos mense eens en vir altyd sterf en daarna geoordeel word, **28** so is die Christus ook eens en vir altyd geoffer om die sondes van baie te dra.^c Wanneer hy die tweede keer verskyn, sal dit nie wees om sonde weg te neem nie,* en hy sal gesien word deur dié wat vol verlange daarna uitsien om deur hom gered te word.^d

10 Die Wet is 'n skaduwee^e van die toekomstige goeie dinge,^f maar nie die werklikheid van daardie dinge nie. Daarom kan dit* aanbidders nooit, deur dieselfde offerandes wat jaar ná jaar geoffer word, tot volmaaktheid bring nie.^g **2** Anders sou offerandes mos nie meer gebring word nie, want dié wat heilige diens doen en eemaal gereinig is, sou nie meer van sondes bewus wees nie. **3** Maar hierdie offerandes herinner hulle jaar ná jaar aan sondes,^h **4** want dit is nie vir die bloed van bulle en bokke moontlik om sondes weg te neem nie.

5 Toe hy in die wêreld ingekom het, het hy dus gesê: "U wou nie 'n offerande of 'n offergawe hê nie, maar u het vir my 'n liggaam voorberei. **6** U het nie heelbrandoffers en sondeoffers goedgekeur nie."ⁱ **7** Toe

9:26 *Of "grondlegging van die wêreld". ^aOf "die voleinding van die stelsels van dinge". Sien Woordelys. 9:28 *Lett. "sal dit afgeskeie van sonde wees". 10:1 *Of moontlik "mense".

het ek gesê: 'Kyk! Ek het gekom (in die boekrol is daar oor my geskryf) om u wil te doen, o God.'^a **8** Eers het hy gesê: "U wou nie offerandes en offergawes en heelbrandoffers en sonde-offers hê nie, en u het dit nie goedgekeur nie." Dit verwyds na offerandes wat volgens die Wet gebring word. **9** Dan sê hy: "Kyk! Ek het gekom om u wil te doen."^b Hy verwyder dit wat eerste is sodat hy dit wat tweede is, kan instel. **10** Deur hierdie "wil"^c is ons eens en vir altyd geheilig deur middel van die offer van die liggaam van Jesus Christus.^d

11 Elke priester neem ook dag ná dag sy plek in om heilige* diens te doen^e en om oor en oor dieselfde offerandes te bring,^f wat sonde nooit heeltemal kan wegneem nie.^g **12** Maar hierdie man het eens en vir altyd een offerande vir sondes gebring en het aan die regterhand van God gaan sit,^h **13** en hy wag van toe af totdat sy vyande 'n voetbank vir sy voete maak word.ⁱ **14** Want deur een slagoffer het hy dié wat geheilig word, eens en vir altyd tot volmaaktheid gebring.^j **15** En die heilige gees bevestig dit ook vir ons, want eers sê dit: **16** "Dit is die verbond wat ek ná daardie dae met hulle sal maak," sê Jehovah.* 'Ek sal my wette in hulle harte sit, en ek sal dit in hulle verstande skryf.'^k **17** Dan sê dit: "En ek sal nie meer aan hulle sondes en hulle wettelose dae dink nie."^l **18** As God dan nou hierdie sondes vergewe het, is geen offers meer nodig nie.

19 Broers, deur die bloed van Jesus het ons die vrymoedig-

10:11 *Of "openbare". 10:16 *Sien Aanb. A5.

HFST. 10

a Ps 40:8

b Ps 40:6-8

c Ga 1:4

d Heb 13:12

e 1Sa 2:27, 28

f Eks 29:38
Nu 28:3

g Heb 7:18
Heb 10:1

h Ro 8:34

i Ps 110:1
1Kor 15:25

j Heb 7:19

k Jer 31:33
Heb 8:10

l Jer 31:34
Heb 8:12

Tweede kol.

a Heb 9:8, 24

b Mt 27:51

c Sag 6:13
Heb 3:6

d 1Jo 1:7

e Ef 5:25, 26

f 1Kor 15:58
Kol 1:23

g Kol 3:23
1Ti 6:18

h De 31:12
Han 2:42

i Jes 35:3
Ro 1:11, 12

j Ro 13:11
2Pe 3:11, 12

k 2Pe 2:21

l Mt 12:32
Heb 6:4-6
1Jo 5:16

m Jes 26:11

n De 17:6

o Mt 26:27, 28
Lu 22:20

heid* om gebruik te maak van die weg wat in die heiligdom^a ingaan. **20** Hy het hierdie nuwe en lewende weg vir ons geopen^b deur die gordyn,^{#b} naamlik sy liggaam,[^] **21** en nou het ons 'n groot priester oor die huis van God.^c **22** Laat ons dus met opregte harte en rotsvaste geloof nader kom, aangesien ons harte deur besprinkeling gereinig is van 'n goddelose gewete^d en ons liggame met skoon water gewas is.^e **23** Laat ons aan die openbare bekendmaking van ons hoop vashou sonder om te twyfel,^f want die een wat die belofte gemaak het, is getrou. **24** En laat ons aandag skenk aan^g mekaar sodat ons mekaar tot liefde en goeie werke kan aanspoor.^g **25** Ons moenie ons vergaderingbywoning verwaarloos,^h soos party die gewoonte het nie, maar ons moet mekaar aanmoedig,ⁱ en ons moet dit al hoe meer doen terwyl ons die dag sien nader kom.^j

26 Want as ons opsetlik sonde beoefen nadat ons akkurate kennis van die waarheid ontvang het,^k bly daar nie meer enige offerande vir sondes oor nie,^l **27** maar daar is 'n seker vreeslike verwagting van oordeel en 'n brandende woede wat die teenstanders gaan verkeer.^m **28** Enigiemand wat nie die Wet van Moses gehoorsaam nie, word op die getuienis van twee of drie doodgemaakⁿ sonder enige genade. **29** Wat dink julle? As iemand die Seun van God vertrap het en die bloed van die verbond^o waardeur hy geheilig is, as iets doodgewoons beskou het en die gees van onverdiende goedheid beledig en

10:19 *Of "vertrou". 10:20 *Lett. "ingewy". #Of "voorhangsel". ^Lett. "vlees". 10:24 *Of "besorg wees oor; ag gee op". #Of "motiveer; aanvuur".

verwerp het,^a verdien hy nie om soveel swaarder gestraf te word nie? **30** Want ons ken die Een wat gesê het: “Die wraak is myne. Ek sal terugbetaal.” Hy sê ook: “Jehovah* sal sy volk oordeel.”^b **31** Dit is iets vreesliks om in die hande van die lewendige God te val.

32 Maar bly dink aan die tyd nadat julle die lig gesien het,^c toe julle 'n groot stryd deurmaak het en baie gely het. **33** Soms is julle in die openbaar* beledig en sleg behandel, en soms het julle dié wat so iets deurmaak het, bygestaan. **34** Want julle het simpatie met dié in die gevangenis en het julle vreugde behou toe julle van julle besittings beroof is,^d omdat julle weet dat julle 'n beter besitting het wat permanent is.^e

35 Moenie ophou om met vrymoedigheid te praat nie, want dit sal ryklik beloon word.^f **36** Julle het volharding nodig,^g want as julle die wil van God bly doen, sal julle die vervulling van die belofte ontvang. **37** Want nog “'n baie kort rukkie”,^h en “die een wat kom, sal kom en sal nie lank neem nie”.ⁱ **38** “Maar my regverdige kneg sal deur geloof lewe”,^j en “as hy van my af wegbeweeg, gee hy my* geen vreugde nie”.^k **39** Ons is dan nou nie die soort wat van God af wegbeweeg en vernietig word nie,^l maar die soort wat geloof het en daardeur sal bly lewe.

11 Geloof is die vaste vertroue dat die dinge waarvoor 'n mens hoop, sal gebeur.^m Dit is die duidelike* bewys dat dinge wat nie gesien word nie, 'n werklikheid is. **2** Want deur middel hiervan het die manne

10:30 *Sien Aanh. A5. **10:33** *Lett. “asof in 'n teater”. **10:38** *Of “my siel”. **11:1** *Of “oortuigende”.

HFST. 10

a Heb 6:4-6

b De 32:35, 36

c 2Kor 4:6
Heb 6:4

d Mt 5:12

e Lu 16:9

f Mt 10:32
1Kor 15:58

g Lu 21:19
Jak 5:11

h Jes 26:20

i Hab 2:3
2Pe 3:9

j Joh 3:16
Ro 1:17

k Hab 2:4

l 2Pe 2:20

HFST. 11

m Heb 11:13

Tweede kol.

a Ge 4:5

b Ge 4:4

c Ge 4:8, 10

d Ge 5:22
Jud 14

e Ge 5:24

f Ps 58:11
Sef 2:3
Mt 5:12
Mt 6:33

g Ge 6:8, 9

h Ge 6:13, 17

i Ge 6:14

j Ge 6:22
2Pe 2:5

k Ro 4:9, 11

van die ou tyd* God se goedkeuring ontvang.[#]

3 Deur geloof verstaan ons dat die dinge in die hemel en op die aarde deur God se woord voorberei is,* sodat wat gesien word, ontstaan het uit dinge wat nie gesien word nie.

4 Deur geloof het Abel 'n offerande van groter waarde aan God gebring as dié van Kain,^a en deur hierdie geloof het hy die getuienis ontvang dat hy regverdig is, want God het sy gawes goedgekeur.*^b En al het hy gesterf, praat^c hy nog steeds deur sy geloof.

5 Deur geloof is Henog^d weggegaan sodat hy nie die dood sou sien nie, en hy kon nêrens gevind word nie omdat God hom weggegaan het.^e Voordat hy weggegaan is, het hy die getuienis ontvang dat hy God se hart bly gemaak het. **6** Wat meer is, sonder geloof is dit onmoontlik om God se goedkeuring te verkry, want as iemand God wil nader, moet hy glo dat hy bestaan* en dat hy die beloner word van dié wat hom ernstig soek.^f

7 Deur geloof het Noag^g vrees vir God geopenbaar nadat hy 'n waarskuwing van God ontvang het oor dinge wat nog nie gesien is nie.^h Hy het 'n ark gebouⁱ sodat sy huisgesin gered kon word. Deur hierdie geloof het hy die wêreld veroordeel,^j en hy het 'n erfgenaam geword van die regverdigheid wat deur geloof verkry word.

8 Deur geloof was Abraham^k gehoorsaam toe hy geroep is om weg te trek na 'n plek wat hy

11:2 *Of “ons voorvaders”. #Lett. “getuienis aangaande hulleself ontvang”. **11:3** *Of “dat die stelsels van dinge deur God se woord georden is”. Sien Woordelys, “Stelsel van dinge”. **11:4** *Of “erken deur getuienis te gee”. **11:6** *Lett. “is”.

as 'n erfenis sou ontvang. Hy het weggetrek, al het hy nie geweet waarheen hy gaan nie.^a **9** Deur geloof het hy as 'n uitlander in die land van die belofte gewoon.^b Hy het in tente gewoon^c saam met Isak en Jakob, wat saam met hom erfgename van presies dieselfde belofte was.^d **10** Want hy het uitgesien na die stad wat ware fondamente het, wat deur God ontwerp en gebou is.^e

11 Deur geloof het Sara krag ontvang om swanger te word,^f al was sy te oud daarvoor,^g want sy het geglo dat die Een wat die belofte gemaak het, getrou^h is. **12** Daarom is daar uit een man wat so goed as dood was,^g kinders gebore^h wat so baie soos die sterre van die hemel en so ontelbaar soos die sand op die strand is.ⁱ

13 In geloof het hulle almal gesterf, al het hulle nie die vervulling van die beloftes ontvang nie.^j Maar hulle het dit van ver af gesien^k en dit verwelkom en in die openbaar bekend gemaak dat hulle vreemdelinge en tydelike inwoners in die land is. **14** Want dié wat so praat, maak dit duidelik dat hulle ernstig op soek is na 'n plek wat hulle eie is. **15** En tog, as hulle bly dink het aan die plek waaruit hulle weggetrek het,^l sou hulle 'n geleentheid gevind het om terug te gaan. **16** Maar nou sien hulle uit na 'n beter plek, 'n plek wat tot die hemel behoort. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie,^m want hy het selfs 'n stad vir hulle voorberei.ⁿ

17 Deur geloof het Abraham, toe hy getoets is,^o Isak so goed as geoffer. Hierdie man, wat die

HFST. 11

a Ge 12:1, 4

b Ge 23:4

c Ge 12:8

d Ge 17:6
Ge 26:3
Ge 28:13

e Heb 11:16

f Ge 17:17
Ge 21:2

g Ro 4:19

h Ge 21:5

i Ge 22:17
1Kn 4:20

j Ge 47:9

k Joh 8:56

l Ge 11:31

m Eks 3:6, 15

n Heb 11:10
Heb 12:22

o Ge 22:1, 2

Tweede kol.

a Ge 22:9, 10
Joh 3:16

b Ge 21:12

c 1Kor 10:11

d Ge 27:27-29

e Ge 27:38-40

f Ge 48:15,
16, 20

g Ge 47:29

h Ge 47:31

i Ge 50:24, 25
Eks 13:19

j Eks 2:2

k Han 7:20

l Eks 1:16, 22

m Eks 2:10

n Eks 2:11

o Eks 12:51

p Eks 10:28

beloftes met blydschap ontvang het, het sy enigste* seun probeer offer,^a **18** al is daar vir hom gesê: "Wat jou nageslag* genoem sal word, sal deur Isak wees."^b **19** Maar hy het gereedeneer dat God hom selfs uit die dood kon opwek, en hy het hom toe ook in 'n figuurlike sin^c daaruit terugontvang.

20 Deur geloof het Isak vir Jakob^d en Esau^e geseën in verband met dinge wat in die toekoms sou gebeur.

21 Deur geloof het Jakob elkeen van Josef se seuns' geseën toe hy op die punt gestaan het om te sterf,^g en hy het aanbid terwyl hy op die bopunt van sy staf geleun het.^h

22 Deur geloof het Josef na aan die einde van sy lewe gepraat van die uittog van die Israëliete, en hy het instruksies* in verband met sy liggaam* gegee.ⁱ

23 Deur geloof is Moses ná sy geboorte drie maande lank deur sy ouers weggesteek^j omdat hulle gesien het dat die jong kind mooi is^k en hulle nie vir die koning se bevel bang was nie.^l **24** Deur geloof het Moses geweer om die seun van Faraó se dogter^m genoem te word toe hy groot was.ⁿ **25** Hy het eerder gekies om saam met God se volk sleg behandel te word as om sonde 'n kort tydjie te geniet, **26** omdat die skande van die Christus vir hom waardevoller was as die skatte van Egipte, want hy het sy oë stip op die beloning gehou. **27** Deur geloof het hy Egipte verlaat,^o maar hy was nie bang vir die woede van die koning nie,^p want hy het standvastig gebly soos

11:17 *Lett. "eniggebore". **11:18** *Lett. "saad". **11:19** *Of "by wyse van illustrasie". **11:22** *Of "n bevel". *Of "begrafnis". Lett. "beendere".

11:10 *Of "waarvan God die argitek en boumeester is". **11:11** *Lett. "saad te ontvang". *Of "betroubaar".

iemand wat die Onsigbare sien.^a
28 Deur geloof het hy die Pasga gevier en die bloed aan die deurposte gespat, sodat die vernietiger niks aan hulle eersgeborenes sou doen nie.^b

29 Deur geloof het hulle deur die Rooisee getrek asof dit droë grond was,^c maar toe die Egiptenare dit probeer doen het, het hulle verdrink.^d

30 Deur geloof het die mure van Je'rig'o geval nadat die volk sewe dae lank daarom gemarsjeer het.^e **31** Deur geloof het Ragab, die prostituut, nie doodgegaan saam met dié wat ongehoorsaam was nie, want sy het die spioene vreedsaam ontvang.^f

32 En wat sal ek nog sê? Want daar is nie genoeg tyd vir my om nog te vertel van Gi'de-on,^g Barak,^h Simson,ⁱ Jefta,^j Dawid^k sowel as Samuel^l en die ander profete nie. **33** Deur geloof het hulle koninkryke verslaan,^m gedoen wat reg is, beloftes verkry,ⁿ die bekke van leeus toegestop,^o **34** die krag van vuur weerstaan,^p van die skerpte van die swaard ontsnap,^q hulle swakheid verander in krag,^r dapper geword in oorlog^s en aanvallende leërmagte laat vlug.^t **35** Vrouens het hulle dooies deur 'n opstanding ontvang,^u maar ander manne is gemartel, want hulle het gewier om vrygelaat te word,^v sodat hulle 'n beteer opstanding kan verkry. **36** En ander het gely omdat hulle bespot en met 'n gésel* geslaan is, en selfs omdat hulle geboei^w en gevange gehou^w is. **37** Hulle is met klippe doodgegooi,^x hulle is getoets, hulle is in twee* gesaag, hulle is met die swaard doodgemaak.^y

11:35 *Of "om deur die een of ander losprys bevry te word". **11:36;** **12:2** *Sien Woordelys. **11:37** *Of "stukkend".

HFST. 11

- a 1Ti 1:17
 b Eks 12:21-23
 c Eks 14:22
 d Eks 14:27, 28
 e Jos 6:15, 20
 f Jos 6:17
 g Rig 6:11
 h Rig 4:6
 i Rig 13:24
 j Rig 11:1
 k 1Sa 16:13
 l 1Sa 3:20
 m Rig 7:12, 22
 n 2Sa 7:8, 12
 o Rig 14:5, 6
 1Sa 17:34-36
 Da 6:21, 22
 p Da 3:23-25
 q 2Kn 6:15, 16
 r Rig 16:28
 1Kn 18:46
 s Rig 11:32
 t Rig 4:16
 u 1Kn 17:22-24
 2Kn 4:32, 34
 v Jer 20:2
 w Jer 37:15
 x 2Kr 24:20, 21
 y 1Kn 19:10

Tweede kol.

- a 2Kn 1:8
 b 1Kn 19:2
 c 1Kn 22:24
 Jer 38:6
 d 1Kn 18:4
 1Kn 19:9
 e Heb 2:3
 Heb 3:1
 Heb 7:22

HFST. 12

- f Heb 3:12
 g 1Kor 9:24, 26
 Flp 3:13, 14
 h Joh 14:6
 Han 5:31
 Heb 2:10
 i Ps 110:1
 Heb 10:12
 j Mt 27:39
 k Ga 6:9

Hulle het rondgeloop in skaapvelle, in bokvelle,^a terwyl hulle gebrek gely het, swaargekry het^b en sleg behandel is.^c **38** En die wêreld het hulle nie verdien nie. Hulle het rondgeloop in woestynne en berge en grotte^d en gate van die aarde.

39 En tog het hulle almal, al het hulle as gevolg van hulle geloof 'n goeie getuienis gekry, nie die vervulling van die belofte ontvang nie, **40** want God het iets beters vir ons in gedagte gehad.^e Hulle sou dus nie sonder ons tot volmaaktheid gebring word nie.

12 Omdat ons so 'n groot wolk van getuies om ons het, moet ons ook ontslae raak van elke gewig en van die sonde wat ons maklik verstrik.^f Laat ons die wedloop wat voor ons is, met volharding hardloop^g **2** terwyl ons ons oë stip gerig hou op die een wat ons in ons geloof lei en wat ons geloof volkome maak^h – Jesus.^h As gevolg van die vreugde wat voor hom gestel is, het hy 'n folterpaal* verduur en het die skande nie vir hom saak gemaak nie, en hy het aan die regterhand van die troon van God gaan sit.ⁱ **3** Let goed op die een wat die vyandige spraak moes verduur van sondaars/ wat hulleself op hierdie manier benadeel het, sodat julle nie moeg word en moed opgee nie.^k

4 In julle stryd teen daardie sonde het julle nog nooit tot die dood toe weerstand gebied nie. **5** En julle het die aansporing wat tot julle as seuns gerig is, heeltemal vergeet: "My seun, moenie neersien op die dissipline wat van Jehovah* kom nie, en moet ook nie moed opgee

12:2 *Of "die Hoofbewerker en Vervolmaker van ons geloof". **12:5** *Sien Aanh. A5.

wanneer jy deur hom reggehelp word nie, **6** want Jehovah* dissipleneer dié wat hy liefhet. Ja, hy straf^a elkeen wat hy as 'n seun aanneem.^a

7 Wat julle verduur, is deel van julle dissipline.* God behandel julle soos seuns.^b Want water seun word nie deur sy pa gedissiplineer nie?^c **8** Maar as julle nie hierdie dissipline ontvang het nie, is julle in werklikheid buite-egtelike kinders en nie seuns nie. **9** Om die waarheid te sê, ons menslike pa's* het ons gedissiplineer, en ons het hulle gerespekteer. Moet ons dan nie selfs meer bereid wees om ons te onderwerp aan die Vader van ons geestelike lewe sodat ons kan lewe nie?^d **10** Want hulle het ons 'n kort rukkie gedissiplineer op 'n manier wat hulle gedink het goed is, maar hy doen dit tot ons voordeel sodat ons in sy heiligheid kan deel.^e **11** Ja, geen dissipline lyk op die oomblik asof dit iets is om oor bly te wees nie, maar dit is pynlik.* Tog bring dit ná die tyd die vreedsame vrug van regverdigheid voort vir dié wat daardeur opgelei is.

12 Versterk dus die hande wat slap hang en die knieë wat swak is,^f **13** en hou aan om reguit paaie vir julle voete te maak,^g sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar eerder gesond gemaak word. **14** Probeer hard om in vrede met alle mense te lewe^h en om die heiligheid te hê waarsonder geen mens die Here sal sien nie. **15** Wees baie versigtig dat niemand die kans laat verbygaan om die onverdiende goedheid van God te ontvang

12:6 *Sien Aanh. A5. ^aOf "slaan met 'n gésel". Sien Woordelys, "Gésel". **12:7** *Of "opleiding". **12:9** *Lett. "die pa's van ons vlees". **12:11** *Of "dit maak ons hartseer".

HFST. 12

a Spr 3:11, 12

b 2Sa 7:14
Heb 2:10

c Spr 13:24

d Jak 4:10

e 1Pe 1:15, 16

f Jes 35:3

g Spr 4:26

h Ps 34:14
Ro 12:18
Ro 14:19

i Ro 6:19
1Te 4:3, 4
Heb 10:10

Tweede kol.

a De 29:18

b Ge 25:32, 34

c Ge 27:34

d Eks 19:12

e Eks 19:18

f Eks 19:16

g Eks 19:19

h De 4:11, 12

i Eks 20:18, 19

j Eks 19:12, 13

k De 9:19

l Op 14:1

m Op 21:2

n Da 7:10

o Ge 18:25
Ps 94:2
Jes 33:22

p Heb 12:9

q Heb 10:14

r 1Ti 2:5
Heb 9:15

s Mt 26:27, 28

t Ge 4:8, 10

nie, dat geen giftige wortel opskiet en moeilikheid veroorsaak en baie mense daardeur onrein word nie.^a **16** En sorg dat daar niemand onder julle is wat seksueel onsedelik* is of wat heilige dinge nie waardeer nie, soos Esau, wat sy regte as eersgeborene vir een maaltyd verruil het.^b **17** Want julle weet dat hy verwerp is toe hy ná die tyd die seën wou ontvang, want al het hy met trane hard probeer om sy pa van gedagte te laat verander,^c het dit niks gehelp nie.*

18 Julle het nie by iets gekom waaraan gevat kan word^d en wat met vuur aan die brand gesteek is nie.^e Julle het nie gekom by 'n donker wolk of digte donkerte of 'n storm^f **19** of die geluid van 'n trompet^g of 'n stem wat praat nie.^h Toe die volk dit hoor, het hulle gesmeek dat niks verder vir hulle gesê moes word nie.ⁱ **20** Want hulle is bang gemaak deur hierdie bevel: "As selfs 'n dier aan die berg raak, moet dit met klippe doodgegooi word."^j **21** Wat hulle gesien het, het hulle so bang gemaak dat Moses selfs gesê het: "Ek is bang en ek bewe."^k **22** Maar julle het gekom by 'n berg Sion^l en 'n stad van die lewende God, hemelse Jerusalem,^m en tienduisende engele **23** in hulle algemene vergadering,ⁿ en die gemeente van die eersgeborenes, wat in die hemel opgeskryf is, en God, die Regter van almal,^o en die geestelike lewens^p van regverdiges wat tot volmaaktheid gebring is.^q **24** En julle het gekom by Jesus, die middelaar^r van 'n nuwe verbond,^s en die bloed wat gesprinkel is en wat op 'n beter manier praat as Abel se bloed.^t

12:16 *Sien Woordelys, "Seksuele onsedelikheid". **12:17** *Lett. "het hy geen plek daarvoor gevind nie".

25 Sorg dat julle nie weier om te luister na* die een wat praat nie.[#] Want in die verlede het mense op die aarde geweier om te luister na die een wat 'n waarskuwing van God gegee het, en hulle is gestraf. Sal ons dan nie beslis ook gestraf word as ons nie luister na die een wat uit die hemel praat nie?^a 26 Destyds het sy stem die aarde geskud,^b maar nou het hy belowe: "Ek sal nie net die aarde nie, maar ook die hemel nog 'n keer skud."^c 27 Met die uitdrukking "nog 'n keer" word daar bedoel dat die dinge wat geskud word, dit wil sê die dinge wat gemaak is, verwyder word sodat net die dinge wat nie geskud word nie, kan oorbly. 28 Aangesien ons 'n Koninkryk gaan ontvang wat nie geskud kan word nie, laat ons dus aanhou om baat te vind by die onverdiende goedheid, waardeur ons aanvaarbare heilige diens aan God kan bied met vrees en ontsag vir hom. 29 Want ons God is 'n verterende vuur.^d

13 Hou aan om broederlike liefde te betoon.^e 2 Moenie gasvryheid vergeet nie,[#] want party het engele gasvry ontvang sonder dat hulle dit geweet het.^g 3 Dink aan dié wat in die tronk is^{#h} asof julle saam met hulle daar is,ⁱ en aan dié wat sleg behandel word, aangesien julle self nog ook in die liggaam is.[#] 4 Die huwelik moet vir almal eerbaar* wees en die huweliksbed moet rein bly,^j want God sal seksueel onsedelike mense[#]

12:25 *Of "nie verskonings maak teenoor". [#]Of "nie die een wat praat, ignoreer nie". 13:2 *Of "Moenie vergeet om goed te wees vir vreemdelinge nie". 13:3 *Lett. "dié wat geboei is". [#]Of moontlik "asof julle saam met hulle ly". 13:4 *Of "kosbaar". [#]Sien Woordelyst, "Seksueel onsedelikheid".

HFST. 12

- a Heb 1:2
- Heb 2:2-4
- b Eks 19:18
- c Hag 2:6
- d De 4:24

HFST. 13

- e 1Te 4:9
- 1Pe 1:22
- f Ro 12:13
- 1Ti 3:2
- g Ge 18:2, 3
- Ge 19:1-3
- h Kol 4:18
- i Ro 12:15
- j Spr 5:16, 20
- Mt 5:28

Tweede kol.

- a Spr 6:32
- 1Kor 6:9, 10
- 1Kor 6:18
- Ga 5:19, 21
- b 1Ti 6:10
- c Spr 30:8, 9
- 1Ti 6:8
- d De 31:6, 8
- e Ps 118:6
- Da 3:17
- Lu 12:4
- f 1Ti 5:17
- Heb 13:17
- g 1Kor 11:1
- 2Te 3:7
- h Ro 14:17
- 1Kor 8:8
- Kol 2:16
- i 1Kor 9:13
- 1Kor 10:18
- j Le 16:27
- k Joh 19:17
- l Heb 9:13, 14
- m Ro 15:3
- 2Kor 12:10
- 1Pe 4:14
- n Heb 11:10
- Heb 12:22
- o Le 7:12
- Ps 50:14, 23
- p Ps 69:30, 31
- Ho 14:2
- q Ro 10:9

en egbrekers oordeel.^a 5 Julle lewenswyse moet vry wees van die liefde vir geld,^b terwyl julle tevrede is met die dinge wat julle nou het.^c Want hy het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie en jou nooit in die steek laat nie."^d 6 Daarom kan ons goeie moed hou en sê: "Jehovah* is my helper. Ek sal nie bang wees nie. Wat kan 'n mens aan my doen?"^e

7 Hou dié in gedagte wat die leiding onder julle neem,^f wat oor die woord van God met julle gepraat het. Kyk noukeurig na die uiteinde van hulle gedrag, en volg hulle geloof na.^g

8 Jesus Christus is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde.

9 Moenie mislei word deur alderhande vreemde leringe nie, want dit is beter dat die hart deur onverdiende goedheid versterk word as deur kos,* wat geen voordeel inhou vir dié wat hulle daarmee besig hou nie.^h

10 Ons het 'n altaar, en dié wat by die tent heilige diens doen, mag niks eet wat daarop is nie.ⁱ 11 Want die bloed van diere word deur die hoëpriester as 'n sonde-offer in die heiligdom ingeneem, en die liggame van hierdie diere word buite die kamp verbrand.^j 12 Daarom het Jesus ook buite die stadspoort gely^k om die volk met sy eie bloed te heilig.^l 13 Laat ons dan na hom toe gaan buite die kamp en die skande dra wat hy gedra het,^m 14 want ons het nie hier 'n stad wat permanent is nie, maar ons soek ernstig na die stad wat sal kom.ⁿ 15 Laat ons deur hom altyd aan God 'n loffer bring,^o dit wil sê die vrug van ons lippe^p wat sy naam in die openbaar bekend maak.^q 16 En moet ook nie vergeet

13:6 *Sien Aanhang. A5. 13:9 *D.w.s. reëls oor kos.

om goed te doen en om wat jy het, met ander te deel nie,^a want sulke offerandes maak God bly.^b

17 Wees gehoorsaam aan dié wat die leiding onder julle neem^c en wees onderdanig,^d want hulle waak oor julle en sal daarvoor aanspreeklik gehou word.^e As julle dit doen, sal hulle hulle werk met vreugde kan doen sonder om te sug, want anders sal dit vir julle skadelik wees.

18 Hou aan om vir ons te bid, want ons is daarvan oortuig dat ons 'n eerlike* gewete het, en ons wil ons in alles eerlik gedra.^f **19** Maar ek spoor julle dringend aan om te bid sodat ek nog gouer aan julle teruggee kan word.

20 God het die groot herder^g van die skape, ons Here Jesus,

13:18 * Lett. "goeie".

HFST. 13

a Ro 12:13

b Flp 4:18

c 1Te 5:12

d Ef 5:21
1Pe 5:5

e Han 20:28

f 2Kor 1:12

g 1Pe 5:4

Tweede kol.

a Han 27:1

met die bloed van 'n ewige verbond uit die dood teruggebring. Mag die God van vrede **21** julle met alle goeie dinge toerus om sy wil te doen, en mag hy dit wat goed is in sy oë deur middel van Jesus Christus in ons verig. Aan God behoort die eer vir ewig en altyd. Amen.

22 Ek spoor julle dan nou aan, broers, om geduldig na hierdie aanmoedigende woorde te luister, want ek het 'n kort brief aan julle geskryf. **23** Ek wil hê dat julle moet weet dat ons broer Timo'teus vrygelaat is. As hy binnekort kom, sal ons julle saam besoek.

24 Stuur groete vir almal wat die leiding onder julle neem en vir al die heiliges. Dié in Italië^a stuur vir julle groete.

25 Mag die onverdiende goedheid met julle almal wees.

DIE BRIEF VAN

JAKOBUS

O O R S I G

- | | |
|---|---|
| <p>1 Groete (1)
Volharding lei tot geluk (2-15)
Geloof wat getoets is (3)
Hou aan vra in geloof (5-8)
Begeerte lei tot sonde en dood (14, 15)
Elke goeie gawe is van bo (16-18)
Iemand wat woord hoor en doen wat dit sê (19-25)
Iemand wat in 'n spieël kyk (23, 24)
Rein en onbesmette aanbidding (26, 27)</p> <p>2 'n Sonde om party voor te trek (1-13)
Liefde, die koninklike wet (8)
Geloof sonder werke is dood (14-26)
Demone glo en bewe (19)
Abraham word Jehovah se vriend genoem (23)</p> | <p>3 Beheer oor die tong (1-12)
Nie baie moet onderrigters word nie (1)
Die wysheid van bo (13-18)</p> <p>4 Moenie vriend van wêreld wees nie (1-12)
Staan die Duiwel teë (7)
Kom nader aan God (8)
Waarskuwing teen trots (13-17)
"As Jehovah wil" (15)</p> <p>5 Waarskuwing aan rykes (1-6)
God seën geduldige volharding (7-11)
Laat julle "ja" ja beteken (12)
Gebed van geloof doeltreffend (13-18)
Hulp aan 'n sondaar om terug te keer (19, 20)</p> |
|---|---|

1 Van Jakobus,^a 'n slaaf van God en van die Here Jesus Christus. Aan die 12 stamme wat oral verstrooi is:

Groete!

2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer julle deur allerhande moeilike tye gaan,^b

3 want julle weet dat julle geloof tot volharding lei wanneer dit getoets is.^c **4** Maar laat die volharding sy werk voltooi, sodat julle volkome en in alle opsigte sonder gebrek kan wees en in niks te kort skiet nie.^d

5 As een van julle dan wysheid nodig het, moet hy aanhou om God te vra,^e want hy gee oorvloedig aan almal sonder om te verwy,^f en hy sal wysheid ontvang.^g **6** Maar laat hom aanhou om in geloof te vra,^h sonder om enigszins te twyfel,ⁱ want die een wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind aangedryf en heen en weer gewaai word. **7** Om die waarheid te sê, so iemand moenie verwag dat hy enigiets van Jehovah* sal ontvang nie. **8** Hy is 'n besluitelose mens,^j onstabiel in alles wat hy doen.

9 Maar laat die broer wat arm is, bly wees* omdat hy verhoog is.^k **10** en laat die ryke bly wees oor sy vernedering,^l want die ryke sal soos 'n blom van die veld vergaan. **11** Wanneer die son opkom en dit die plant met sy verskroeiende hitte laat verlep, val die blom af en verdwyn die pragtige voorkoms daarvan. Net so sal die ryke vergaan terwyl hy druk besig is met sy bedrywighede.^m

12 Gelukkig is die mens wat volhard in moeilike tye,ⁿ want wanneer hy goedgekeur is, sal hy die kroon van die lewe ont-

1:5 *Of "fout te vind". 1:7, 12 *Sien Aanh. A5. 1:9 *Lett. "spog".

HFST. 1

- a Mt 13:55
- b Mt 5:11, 12
- c 1Pe 1:6, 7
- d 1Kor 14:20
- Ef 4:13
- e 1Kn 3:9
- Mr 11:24
- 1Jo 3:22
- f Mt 7:11
- g Spr 2:3-6
- Joh 15:7
- 1Jo 5:14
- h Mt 7:7
- i Mt 21:22
- Heb 11:6
- j Jak 4:8
- k Jak 2:5
- l 1Ti 6:17
- m Jes 40:6, 7
- Mt 19:24
- n Mt 5:10
- Jak 1:2

Tweede kol.

- a 2Ti 4:8
- 1Pe 5:4
- Op 2:10
- b Jak 2:5
- c Ge 3:6
- 1Jo 2:16
- d Ro 5:21
- e Mt 7:11
- f Jer 31:35
- 2Kor 4:6
- g Mal 3:6
- h Joh 1:12, 13
- Ro 8:28
- Ef 1:13, 14
- 2Te 2:13
- 1Pe 1:23
- i Op 14:4
- j Spr 10:19
- Spr 17:27
- k Pr 7:9
- Mt 5:22
- l Jak 3:18
- m Kol 3:8
- 1Pe 2:1
- n Le 18:5
- 1Sa 15:22
- Mt 7:21
- 1Jo 3:7
- o Lu 6:46
- Jak 2:14

vang,^a wat Jehovah* belowe het aan dié wat Hom altyd liefhet.^b

13 Laat niemand wat deur 'n moeilike tyd gaan, sê: "Ek word deur God getoets" nie. Want God kan nie met slegte dinge getoets word nie, en hy toets ook niemand met slegte dinge nie. **14** Maar elkeen word getoets wanneer hy deur sy eie begeerte gelok en verlei* word.^c **15** Daarna, wanneer die begeerte vrugbaar geword het,^d lei dit tot sonde, en wanneer die sonde gepleeg is, lei dit tot die dood.^d

16 Moenie mislei word nie, my geliefde broers. **17** Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van bo,^e want dit daal neer van die Vader van die hemelse ligte,^f en hy verander nie soos die skaduwees wat verskuif nie.^g **18** Dit was sy wil om ons deur die woord van waarheid voort te bring,^h sodat ons in 'n sekere sin die eerstes* sal wees wat hy uit sy skepsele gekies het.ⁱ

19 Weet dit, my geliefde broers: Elkeen moet gou wees om te hoor, stadig om te praat,^j stadig om kwaad te word,^k **20** want 'n mens se woede lei nie tot God se regverdigheid nie.^l **21** Raak dus ontslae van alle vuilheid en elke bietjie slegtheid,^m en aanvaar met sagmoedigheid die woord wat in julle geplante word en wat julle kan red.

22 Moenie net hoor wat die woord sê nie, maar doen ook wat dit sê,ⁿ want anders sal julle julleself met valse redenasies bedrieg. **23** Want as iemand net hoor wat die woord sê en nie doen wat dit sê nie,^o is

1:14 *Of "asof met aas gevang". 1:15 *Lett. "bevrug is". 1:18 *Of "eersteling". Sien Woordelys. 1:21 *Of moontlik "en die oorvloed van slegtheid".

hy soos iemand wat na sy gesig in 'n spieël kyk. **24** Hy kyk na homself en gaan dan weg en vergeet onmiddellik hoe hy lyk. **25** Maar die een wat diep kyk in die volmaakte wet^a wat tot vryheid lei en wat daarby bly, is nie iemand wat hoor en vergeet nie, maar iemand wat die werk doen, en hy sal gelukkig wees in wat hy doen.^b

26 As enigiemand dink dat hy 'n aanbieder van God* is, maar nie sy tong beheer^c nie,^c bedrieg hy sy eie hart en is sy aanbidding verniet. **27** Die vorm van aanbidding* wat in die oë van ons God en Vader rein en onbesmet is, is dit: om na weeskinders^d en weduwees^e om te sien wanneer hulle deur moeilike tye gaan^f en om jouself nie deur die wêreld te laat besmet nie.^g

2 My broers, julle kan tog nie sê dat julle geloof het in ons glorieryke Here Jesus Christus terwyl julle party voortrek nie, of hoe?^h **2** Sê nou 'n man met pragtige klere en met goue ringe aan sy vingers kom na julle vergadering toe, maar 'n arm man in vuil klere kom ook. **3** Sal julle dan die een met die pragtige klere voortrek deur te sê: "Kom sit hier op 'n goeie plek," terwyl julle vir die arm man sê: "Bly staan," of: "Gaan sit daar onder my voetbank"?ⁱ **4** As dit die geval is, het julle dan nie klasseverskille onder julle nie/ en het julle dan nie regters geword wat goddelose oordele uitspreek nie?^k

5 Luister, my geliefde broers. Het God nie dié wat in die oë van die wêreld arm is, gekies om ryk in geloof^l te wees en om erfgename te wees van die Konink-

HFST. 1

a Ps 19:7

b Mt 7:24
Lu 11:28
Joh 13:17c Ps 39:1
Spr 12:18
Spr 15:2
1Pe 3:10d De 14:29
De 27:19
Ps 68:5e Jes 1:17
1Ti 5:3f Job 29:12, 13
Jes 58:7g 1Kor 5:7
Jak 4:4
Op 18:4

HFST. 2

h 1Ti 5:21
Jak 3:17

i Le 19:15

j Ga 3:28

k De 1:17

l Op 2:9

Tweede kol.

a Lu 22:28-30

b Han 13:50

c Le 19:18
Mt 22:39
Ro 13:10

d Jak 2:1

e Le 19:15

f De 27:26
Ga 3:10g Eks 20:14
De 5:18h Eks 20:13
De 5:17

i Jak 1:25

j Spr 21:13
Mt 5:7
Mt 6:15
Lu 6:36k Tit 3:8
Jak 1:25

l 1Kor 13:2

m De 15:7, 8
Mt 25:35, 36
Lu 3:11
Ro 12:13
1Ti 5:4
Jak 1:27
1Jo 3:17n Mt 7:21
Heb 10:24

ryk wat hy belowe het aan dié wat hom liefhet nie?^a **6** Maar julle het die arm mense sonder respek behandel. Is dit nie die rykes wat julle onderdruk^b en julle hof toe sleep nie? **7** Belaster hulle nie die goeie naam wat aan julle gegee is nie? **8** Julle doen heel goed as julle gehoorsaam is aan die koninklike wet wat in die Skrif opgeteken is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."^c **9** Maar as julle aanhou om mense voor te trek,^d pleeg julle 'n sonde en word julle deur die wet as oortreders veroordeel.^e

10 Want as iemand al die gebooe van die Wet gehoorsaam behalwe een, het hy 'n oortreder ten opsigte van die hele Wet geword.^f **11** Want die een wat gesê het: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie,"^g het ook gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie."^h As jy nie egbreuk pleeg nie maar wel moord pleeg, het jy 'n oortreder van die wet geword. **12** Praat en gedra julle soos mense wat geoordeel gaan word deur die wet van 'n volk wat vry is.ⁱ **13** Want wie nie genade betoon nie, sal sy oordeel sonder genade kry.^j Om genade te betoon is beter as om te oordeel.

14 My broers, wat help dit as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie werke nie?^k Daardie soort geloof kan hom tog nie red nie, of hoe?^l **15** As broers of susters nie klere het nie* en nie genoeg kos vir die dag het nie, **16** en tog sê een van julle vir hulle: "Gaan in vrede. Bly warm en sorg dat jy genoeg eet," maar julle gee hulle nie wat hulle liggaam nodig het nie, wat help dit?^m **17** So is geloof sonder werke ook dood.ⁿ

2:12 *Lett. "wet van vryheid". **2:15** *Lett. "kaal is".

1:26 *Of "godsdienstig". #Of "in toom hou". **1:27** *Of "Die godsdienis".

18 Maar iemand sal sê: "Jy het geloof, en ek het werke. Wys my jou geloof sonder die werke, en dan sal ek jou my geloof deur my werke wys." **19** Glo jy dat daar een God is? Jy doen heel goed. En tog glo die demone ook, en hulle bewe van vrees.^a **20** Maar jy, o leë mens, wil jy bewyse hê dat geloof sonder werke niks beteken nie? **21** Is Abraham, ons vader, nie regverdig verklaar as gevolg van werke nadat hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?^b **22** Jy kan sien dat sy geloof met sy werke saamgewerk het en dat sy geloof deur sy werke tot volmaaktheid gebring is,^c **23** en die Skrifgedeelte is vervul wat sê: "Abraham het geloof in Jehovah* gestel, en daarom is hy as regverdig beskou",^d en hy is Jehovah* se vriend genoem.^e

24 Julle kan sien dat 'n mens regverdig verklaar sal word deur werke en nie net deur geloof nie. **25** Is Ragab, die prostituut, nie ook as gevolg van werke regverdig verklaar nadat sy die boodskappers gasvry ontvang het en hulle met 'n ander pad weggestuur het nie?^f **26** Ja, soos die liggaam sonder gees* dood is,^g so is geloof sonder werke ook dood.^h

3 Nie baie van julle moet onderrigters word nie, my broers, want julle weet dat ons 'n swaarder* oordeel sal ontvang.ⁱ **2** Want ons almal struikel dikwels.^j As iemand nie struikel in wat hy sê nie, is hy 'n volmaakte mens, wat ook sy hele liggaam in toom kan hou. **3** As ons 'n toom in 'n perd se bek sit sodat dit ons sal gehoorsaam, beheer ons ook die perd se hele liggaam. **4** Dink ook

2:23; 3:9 *Sien Aanh. A5. 2:26 *Of "asem". 3:1 *Of "strenger". 3:2 *Of "maak dikwels foute".

HFST. 2
a Mt 8:28, 29
Lu 4:33, 34
b Ge 22:9, 12
c Heb 11:17
d Ge 15:6
Ro 4:3
Ga 3:6
e 2Kr 20:7
Jes 41:8
f Jos 2:1, 15
Jos 6:17
Heb 11:31
g Ps 146:4
h Ro 10:10
Jak 2:17

HFST. 3
i Lu 12:48
j 1Kn 8:46
Spr 20:9
1Jo 1:8

Tweede kol.

a Spr 16:27
Mt 12:36, 37
b Ps 39:1
Mt 15:11, 18
Mr 7:23
c Ps 140:3
Spr 12:18
Spr 18:7
d Ge 1:26, 27
e Ef 4:29
f Mt 7:16

g Ro 13:13
1Kor 3:3

aan skepe: Al is hulle so groot en word hulle deur sterk winde aangedryf, word hulle deur 'n baie klein roer gestuur in enige rigting waarin die stuurman wil gaan.

5 So ook is die tong 'n klein liggaamsdeel, en tog kan dit baie grootpraat. Kyk wat 'n klein vuurtjie is nodig om 'n groot woud aan die brand te steek! **6** Die tong is ook 'n vuur.^a Die tong verteenwoordig 'n wêreld van onregverdigheid onder ons liggaamsdele, want dit maak die hele liggaam onrein^b en steek iemand se hele lewe* aan die brand, en dit word deur Gehen'na* aan die brand gestee. **7** Want elke soort wilde dier en voël en reptiel* en seedier kan deur mense mak gemaak word en is al mak gemaak. **8** Maar geen mens kan die tong mak maak nie. Dit kan nie beheer word nie en is skadelik, vol dodelike gif.^c **9** Met die tong loof ons Jehovah,* die Vader, en met dieselfde tong vervloek ons mense wat "na die beeld van God" gemaak is.^d **10** Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking.

My broers, dit is nie reg dat sulke dinge gebeur nie.^e **11** Vars* water en bitter water kan tog nie uit dieselfde fontein uitborrel nie, of hoe? **12** My broers, 'n vyeboom kan tog nie olywe voortbring of 'n wingerdstok vye nie, of hoe?^f Sout water kan ook nie vars water voortbring nie.

13 Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hy dit bewys deur sy goeie gedrag, deur alles te doen met sagmoedigheid wat van wysheid getuig. **14** Maar as julle bittere jaloesie^g in jul-

3:6 *Lett. "die wiel van die geboorte (oorsprong)". *Sien Woordelys. 3:7 *Of "kruipende dier". 3:11 *Lett. "Soet".

le harte het en daarvan hou om te stry,*^a moet julle nie grootpraat^b en teen die waarheid lieg nie. **15** Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie. Dit is wêrelds,^c dierlik en demonies. **16** Want waar daar jaloesie en 'n stryery* is, is daar geen orde nie en is daar allerhande walglike dinge.^d

17 Maar die wysheid van bo is in die eerste plek rein,^e dan vreedsaam,^f redelik,^g bereid om te gehoorsaam, vol genade en goeie vrugte,^h onpartydigⁱ en nie skynheilig nie.^j **18** Wat meer is, die vrug van regverdigheid word onder vreedsame toestande gesaaik^k vir* dié wat vrede maak.^l

4 Waar kom die oorloë en bakleiery onder julle vandaan? Kom dit nie uit julle vleeslike begeertes wat 'n stryd in julle* voer nie?^m **2** Julle wil dinge hê, en tog het julle dit nie. Julle hou aan om moord te pleeg en om te begeer wat aan ander behoort, en tog kan julle niks kry nie. Julle hou aan om te baklei en oorlog te voer.ⁿ Julle het niks omdat julle nie vra nie. **3** Wanneer julle wel vra, ontvang julle nie, want julle vra met verkeerde motiewe. Julle wil julle vleeslike begeertes daarmee bevredig.

4 Julle ontroues,* weet julle nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap met God is nie? Elkeen wat 'n vriend van die wêreld wil wees, maak homself 'n vyand van God.^o **5** Of dink julle dat die Skrifgedeelte verniet sê: "Die gees wat in ons kom woon het, brand van be-

3:14 *Of moontlik "selfsugtige ambisie het". **3:16** *Of "selfsugtige ambisie". **3:18** *Of moontlik "deur". **4:1** *Lett. "julle liggaamsdele". **4:4** *Of "Egbreksters".

HFST. 3

- a Ef 4:31
b 1Kor 13:4
c 1Kor 2:14
Flp 3:19
d Spr 14:30
Ga 5:19-21
e Ro 12:9
f 1Ti 5:1, 2
g 2Kor 13:11
1Te 5:13
2Pe 3:14
g 1Ti 3:3
Tit 3:2
h Ga 5:22, 23
i Jak 2:9
j 1Pe 1:22
k Jes 32:17
Heb 12:11
l Mt 5:9
1Pe 3:11

HFST. 4

- m Ro 7:23
Ga 5:17
Jak 3:14
1Pe 2:11
n Mt 5:22
Jak 3:16
o 2Kor 12:9
Joh 15:19
Joh 17:14
Joh 18:36
1Jo 2:15
1Jo 5:19

Tweede kol.

- a Ge 6:5
Ge 8:21
b Ps 138:6
c Spr 3:34
1Pe 5:5
d Heb 12:9
1Pe 2:17
1Pe 5:6
e Ef 4:27
Ef 6:11
f Mt 4:10, 11
Lu 4:13
g Jes 44:22
Jes 55:6, 7
h Jes 1:16
i 1Jo 3:3
j Jl 2:12
k 2Kor 7:14
2Kor 33:12, 13
l Spr 29:23
Mt 23:12
m Le 19:16
Spr 17:9
n Jes 33:22
o Mt 10:28
p Mt 7:1
Lu 6:37
Ro 14:4
q Lu 12:18-20
r Ps 39:6
Spr 27:1
Pr 6:12
s Job 14:1, 2
Ps 102:3
1Pe 1:24
t Han 18:21
Heb 6:3

geerte en jaloesie"?*^a **6** Die onverdiende goedheid wat Hy gee, is egter groter. Daarom sê dit: "God staan die hoogmoediges teë,^b maar hy gee onverdiende goedheid aan die nederiges."^c

7 Onderwerp julle dan aan God,^d maar staan die Duiwel teë,^e en hy sal van julle af wegvlug.^f **8** Kom nader aan God, en hy sal nader aan julle kom.^g Reinig julle hande, julle sondaars,^h en suiwer julle harte,ⁱ julle besluiteloses. **9** Wees baie hartseer, treur en huil.^j Laat julle gelag in 'n getreue verander word en julle vreugde in 'n gevoel van hopeloosheid.* **10** Wees nederig in die oë van Jehovah,*^k en hy sal julle verhoog.^l

11 Hou op om teen mekaar te praat, broers.^m Iemand wat teen 'n broer praat of sy broer oordeel, praat teen die wet en oordeel die wet. As jy die wet oordeel, is jy 'n regter en doen jy nie wat die wet sê nie. **12** Daar is net een wat Wetgewer en Regterⁿ is, die een wat kan red en vernietig.^o Maar jy, wie is jy om jou naaste te oordeel?^p

13 Luister nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié stad reis en 'n jaar daar bly, en ons sal besigheid doen en wins maak,"^q **14** terwyl julle nie weet hoe julle lewe môre sal wees nie. Want julle is 'n mis wat vir 'n klein rukkig verskyn en dan verdwyn.^s **15** Julle behoort eerder te sê: "As Jehovah* wil,^t sal ons lewe en dit of dat doen." **16** Maar nou is julle trots op julle arrogante grootpraterij. Al sulke grootpraterij is baie sleg. **17** As iemand dan

4:5 *Of "afguns". **4:9** *Of "in terneergedruktheid". **4:10**, **15** *Sien Aanh. A5.

weet hoe om te doen wat reg is en dit tog nie doen nie, is dit vir hom 'n sonde.^a

5 Luister nou, julle rykes, huil en treur oor die swaarkry wat oor julle kom.^b **2** Julle rykdom het verrot, en julle klere is deur motte gevreet.^c **3** Julle goud en silwer het weggeroes, en hulle roes sal as 'n getuënis teen julle wees en sal julle* verteer. Wat julle opgegaan het, sal in die laaste dae soos 'n vuur wees.^d **4** Kyk! Die betaling wat julle teruggehou het van die werkers wat julle landerye geoes het, hou aan om uit te roep. Die hulpgeroep van dié wat oes, het die ore van Jehovah* van die leërmagte bereik.^e **5** Julle het in weelde op die aarde gelewe en julle begeertes bevredig. Julle het julle harte vet gevoer vir die dag waarop julle geslag sal word.^f **6** Julle het die regverdige veroordeel, julle het hom vermoor. Staan hy julle nie teë nie?

7 Wees dan geduldig, broers, tot die teenwoordigheid van die Here.^g Kyk! Die boer wag vir die kosbare vrug van die aarde en is geduldig totdat die vroeë reën en die laat reën kom.^h **8** Julle moet ook geduldig wees.ⁱ Maak julle harte standvastig, want die teenwoordigheid van die Here is naby.^j

9 Moenie oor mekaar kla* nie, broers, sodat julle nie geoordeel word nie.^k Kyk! Die Regter staan voor die deur. **10** Broers, neem die profete, wat in die naam van Jehovah* gepraat het,^l as 'n voorbeeld. Hulle het baie gely^m en het geduldig volhard.ⁿ **11** Kyk! Ons noem dié wat volhard het, gelukkig.^o Julle het gehoor van

5:3 *Lett. "julle vlees". 5:4, 10, 11, 14, 15 *Sien Annh. A5. 5:9 *Lett. "teen mekaar sug". 5:11 #Of "geseënd".

HFST. 4
a Lu 12:47
Joh 9:41
Joh 15:22

HFST. 5
b Spr 11:28
Lu 6:24
Lu 18:25

c Mt 6:19
Lu 12:33
d Ese 7:19

e Le 19:13
De 24:14, 15
Jer 22:13
Mal 3:5

f Jer 12:3
g Mt 24:3
h De 11:14
Jer 5:24

i Heb 6:12
j 1Te 3:13
k 1Kor 4:5
l 2Kr 36:16

m Mt 5:12
n Heb 6:12
o Jak 1:2-4

Tweede kol.

a Job 1:20, 21
b Job 42:10

c Ps 103:8
Lu 6:36
d Mt 5:34-37

e Ps 50:15
f Kol 3:16
g Han 20:28, 35
1Pe 5:2

h Ps 141:5
Mr 6:13
Lu 10:34
i 2Sa 12:13
Ps 32:5
Spr 28:13
1Jo 1:9

j 1Sa 12:18
1Kn 13:6
k 1Kn 17:1

l 1Kn 18:42, 45
m Ga 6:1
n 1Ti 4:16

die volharding van Job^a en het gesien hoe Jehovah* dit laat afloop het,^b dat Jehovah* baie liefdevol[#] en genadig is.^c

12 Bo alles, my broers, hou op om te sweer, ja, of dit nou by die hemel of by die aarde of enige ander eed is. Maar laat julle "ja" ja beteken en julle "nee", nee,^d sodat julle nie geoordeel word nie.

13 Kry iemand onder julle swaar? Laat hom aanhou bid.^e Is iemand vrolik? Laat hom psalms sing.^f **14** Is iemand onder julle siek? Laat hom die ouermanne van die gemeente na hom toe roep,^g en laat hulle oor hom bid en in die naam van Jehovah* olie aan hom smeer.^h **15** Die gebed van geloof sal die een wat siek[#] is, gesond maak, en Jehovah* sal hom laat opstaan. En as hy sondes gepleeg het, sal hy vergewe word.

16 Bely dus julle sondes openlik aan mekaarⁱ en bid vir mekaar, sodat julle genees kan word. Die smeekgebede van 'n regverdige man het 'n kragtige uitwerking.^j **17** Eli'a was 'n mens met gevoelens soos ons s'n, maar nadat hy opreg gebid het dat dit nie moet reën nie, het dit drie jaar en ses maande lank nie in die land gereën nie.^k **18** Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die land het vrug voortgebring.^l

19 My broers, as iemand onder julle mislei word om die waarheid te verlaat en 'n ander een help hom om terug te kom, **20** weet dan dat die een wat 'n sondaar van sy verkeerde weg laat terugdraai,^m hom* van die dood sal red en baie sondes sal bedek.ⁿ

5:11 #Of "baie teer in geneetheid". 5:15 #Of moontlik "moeg". 5:20 *Of "sy siel".

DIE EERSTE BRIEF VAN PETRUS

O O R S I G

- | | |
|---|--|
| <p>1 Groete (1, 2)
Nuwe geboorte tot lewende hoop (3-12)
Wees heilig as gehoorsame kinders (13-25)</p> <p>2 Ontwikkel verlange na die woord (1-3)
Lewende stene opgebou tot geestelike huis (4-10)
Lewe as uitlanders in die wêreld (11, 12)
Gepaste onderdanigheid (13-25)
Christus, 'n voorbeeld vir ons (21)</p> <p>3 Vrouens en mans (1-7)
Betoon medelye; streef vrede na (8-12)</p> | <p>Ly ter wille van regverdigheid (13-22)
Gereed om julle hoop te verdedig (15)
Dooop en 'n goeie gewete (21)</p> <p>4 Lewe vir God se wil, soos Christus (1-6)
Einde van alles is naby (7-11)
Ly as 'n Christen (12-19)</p> <p>5 Wees herders vir kudde van God (1-4)
Wees nederig en bly wakker (5-11)
Gee alle bekommernisse oor aan God (7)
Duiwel soos 'n brullende leeu (8)
Slot (12-14)</p> |
|---|--|

1 Van Petrus, 'n apostel^a van Jesus Christus. Aan die tydelike inwoners wat oral in Pontus, Gala'sië, Kappado'sië,^b Asië en Biti'nië verstrooi is, aan dié wat uitgekies is **2** volgens die voorkennis van God, die Vader.^c Aan julle wat deur die gees geheilig^d is om gehoorsaam te wees en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word:^e

Mag onverdiende goedheid en vrede vir julle vermeerder word.

3 Mag die God en Vader van ons Here Jesus Christus geloof word. Hy het Jesus Christus uit die dood opgewek,^f en so het hy ons in ooreenstemming met sy groot genade 'n nuwe geboorte gegee.^g Nou het ons 'n lewende hoop^h **4** op 'n erfenis wat nie vernietig kan word nie, wat onbesmet is en nie kan vergaan nie.ⁱ Dit word in die hemel bewaar vir julle,^j **5** wat dank-

HFST. 1

a Mt 10:2

b Han 2:5, 9

c Ro 8:29

d 2Te 2:13

e Heb 12:22, 24

f 1Kor 15:20

g 1Pe 1:23

h Op 20:6

i 1Kor 15:53

2Ti 1:10

1Pe 5:4

j Joh 14:2

2Ti 4:8

Tweede kol.

a 2Kor 4:17

2Ti 3:12

b Jak 1:2, 3

c 2Te 1:7

d Ro 6:22

sy julle geloof beskerm word deur God se krag vir 'n redding wat in die tyd van die einde* geopenbaar sal word. **6** Daarom is julle baie vreugdevol, al moet julle nou – as dit so moet wees – vir 'n klein rukkie allerhande moeilike tye deurmaak.^a **7** Dan kan julle geloof, nadat dit getoets is,^b daartoe lei dat julle geprys en geëer word wanneer Jesus Christus geopenbaar word.^c Hierdie soort geloof is baie waardevoller as goud wat kan vergaan, al word dit deur vuur getoets.* **8** Al het julle hom nooit gesien nie, is julle lief vir hom. Al sien julle hom ook nie nou nie, beoefen julle geloof in hom en ervaar julle 'n onbeskryflike en wonderlike vreugde. **9** want julle weet dat julle geloof tot redding sal lei.^d

10 Die profete wat geprofeeteer het oor die onverdiende

1:5 *Of "laaste tydperk". 1:7 *Of "gelouter".

goedheid wat vir julle bedoel is, het ywerig navorsing gedoen en sorgvuldig ondersoek ingestel oor hierdie redding.^a **11** Hulle het bly ondersoek op watter spesifieke tyd of in watter tydperk die dinge in verband met Christus sou gebeur.^b Want die heilige gees wat in hulle was, het vooraf getuig hoe Christus sou ly^c en hoe hy daarna verheerlik sou word. **12** Dit is aan hulle geopenbaar dat hulle nie hulleself bedien het nie, maar julle. Die profete het geskryf oor die dinge wat aan julle verkondig is deur middel van dié wat die goeie nuus aan julle bekend gemaak het met behulp van die heilige gees wat uit die hemel gestuur is.^d Die engelle is gretig om hierdie dinge ten volle te verstaan.

13 Berei dus julle verstande voor* vir bedrywigheid.^e Bly heeltemal helder van verstand.^f Vestig julle hoop op die onverdiende goedheid wat julle sal ontvang by die openbaring van Jesus Christus. **14** As gehoorsame kinders moet julle nie langer gevorm word deur die begeertes wat julle voorheen gehad het toe julle nie van beter gewees het nie. **15** Maar word ook heilig in al julle gedrag,^g soos die Heilige wat julle geroep het, **16** want daar is geskryf: "Julle moet heilig wees, want ek is heilig."^h

17 En as julle die Vader aanroep wat onpartydig is wanneer hy elkeen se werk oordeel,ⁱ moet julle julle met vrees gedra^j solank julle tydelike inwoners is. **18** Want julle weet dat julle nie met dinge wat kan vergaan, met silwer of goud, bevry* is^k van julle nuttelose lewenswy-

1:13 *Of "Versterk dus julle verstande".
1:18 *Lett. "losgekoop; verlos".

HFST. 1

- a Mt 13:17
b Da 9:24-27
c Jes 53:5
d Joh 15:26
Han 2:4
e Lu 12:35
f Ef 5:17
1Pe 4:7
g De 28:9
Ro 12:1
Heb 12:14
h Le 11:44
Le 19:2
Le 20:7, 26
i De 10:17
j 2Kor 7:1
k 1Kor 6:20

Tweede kol.

- a Jes 53:12
Heb 9:14
b Eks 12:5
Le 22:20
Joh 1:29
c 1Kor 5:7
d Joh 17:5
Ef 1:4
e Kol 1:26, 27
f Joh 14:6
g Han 2:24
h Heb 2:9
i Ro 12:9
1Jo 3:17
j 1Ti 1:5
k Joh 3:3
2Kor 5:17
1Pe 1:3
1Jo 3:9
l Joh 3:6
m Joh 6:63
Jak 1:18
n Jes 40:6-8
o Tit 1:3

HFST. 2

- p Ga 5:16
Jak 1:21
q Mr 10:15
r 2Ti 3:15

se wat julle voorvaders aan julle oorgedra het nie. **19** Maar dit was met kosbare bloed,^a soos dié van 'n onbesmette en vlekkelose lam,^b ja, dié van Christus.^c **20** Hy is wel voor die begin van die mensdom* uitgekies,^d maar hy is aan die einde van die tye ter wille van julle openbaar gemaak.^e **21** Deur hom glo julle in God,^f die Een wat hom uit die dood opgewek^g en verheerlik het,^h sodat julle geloof in God kan hê en op hom kan hoop.

22 Noudat julle julleself reinig het deur aan die waarheid gehoorsaam te wees, het julle opregte broederlike liefde,ⁱ en julle moet mekaar dus intens liefhê uit die hart.^j **23** Want julle is 'n nuwe geboorte gegee,^k nie deur saad wat kan vergaan nie, maar deur saad wat nie kan vergaan nie.^l deur middel van die woord van die lewende en ewige God.^m **24** Want "alle mense" is soos gras, en hulle prag is soos 'n bloeisel van die veld. Die gras droog uit en die blom val af, **25** maar die woord van Jehovah* bly vir ewig.ⁿ En hierdie "woord" is die goeie nuus wat aan julle bekend gemaak is.^o

2 Raak dan ontslae van alle slegtheid^p en bedrog en skynheiligheid en jaloesie* en allerhande beledigings. **2** Ontwikkel soos pasgebore babas^q 'n verlange na die suiwer* melk van die woord, sodat julle daardeur tot redding kan groei,^r **3** want julle het ondervind* dat die Here goed is.

1:20 *Of "grondlegging van die wêreld". #Lett. "voortuitgeken". 1:23 *D.w.s. saad wat kan voortplant of vrug kan dra. 1:24 *Lett. "vlees". 1:25 *Sien Aanh. A5. 2:1 *Of "afguns". 2:2 *Of "onvervalste". 2:3 *Of "gesmaak".

4 Mense het hom, 'n lewende steen, verwerp,^a maar God het hom uitgekies, en hy is kosbaar vir Hom.^b Terwyl julle na hom toe kom, 5 word julle self ook as lewende stene opgebou tot 'n geestelike tempel^{*c} om 'n heilige priesterdom te wees, sodat julle deur Jesus Christus geestelike offerandes kan bring^d wat vir God aanvaarbaar is.^e 6 Want die Skrif sê: "Ky! Ek lê in Sion 'n steen wat uitgekies is, 'n kosbare fondamenthoeksteen, en niemand wat geloof daarin beoefen, sal ooit teleurgestel* word nie."^f

7 Vir julle is hy dus kosbaar omdat julle gelowiges is, maar vir dié wat nie glo nie, "het die steen wat die bouers verwerp het,^g die belangrikste hoeksteen* geword"^h 8 en "n steen van struikeling en 'n rots van aanstoot".ⁱ Hulle struikel omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is. Dit is die einde wat op hulle wag. 9 Maar julle is "n uitverkore ras, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie,^j 'n volk vir spesiale besit,^k sodat julle die wonderlike eienskappe* oral bekend sou maak"^l van die Een wat julle uit die duisternis tot in sy wonderlike lig geroep het.^m 10 Want voorheen was julle nie 'n volk nie, maar nou is julle God se volk.ⁿ Voorheen was genade nie aan julle bewys nie, maar nou is julle dié wat genade ontvang het.^o

11 Geliefdes, ek spoor julle as uitlanders en tydelike inwoners^p aan om nie te swig voor vleeslike begeertes,^q wat teen julle oorlog voer nie.^r 12 Gedra julle altyd goed onder die

2:5 *Lett. "huis". 2:6 *Lett. "beskaamd gemaak". 2:7 *Lett. "die hoof van die heek". 2:9 *Of "voortrefflikheid". Lett. "die deugde".

HFST. 2

- a Jes 53:3
Joh 19:15
b Ps 118:22
Jes 42:1
Mt 21:42
Han 4:11
c Ef 2:21
d Heb 13:15
e Ro 12:1
f Jes 28:16
g Ps 69:8
h Ps 118:22
Mt 21:42
Lu 20:17
Han 4:11
i Jes 8:14
j Op 5:10
Op 20:6
k Eks 19:5, 6
De 7:6
De 10:15
Mal 3:17
l Jes 43:20, 21
m Ef 5:8
Kol 1:13
n Ho 1:10
Han 15:14
Ro 9:25
o Ho 2:23
p 1Pe 1:17
q Ro 8:5
Ga 5:24
r Ga 5:17
Jak 4:1

Tweede kol.

- a Ro 12:17
1Ti 3:7
b Mt 5:16
Jak 3:13
c Ro 13:1
Ef 6:5
Tit 3:1
d 1Pe 2:17
e Ro 13:3, 4
f Tit 2:7, 8
g Ga 5:1
h Ga 5:13
i 1Kor 7:22
j Le 19:32
Ro 12:10
Ro 13:7
k 1Jo 2:10
1Jo 4:21
l Ps 111:10
Spr 8:13
2Kor 7:1
m Spr 24:21
n Ef 6:5
Kol 3:22
1Ti 6:1
Tit 2:9
o Ro 13:5
p 1Pe 4:15
q Mt 5:10
Han 5:41
1Pe 4:14
r 1Pe 3:18

nasies.^a As hulle julle dan daarvan beskuldig dat julle slegte dinge doen, kan hulle ooggetuies wees van julle goeie werke.^b Dan kan hulle God as gevolg daarvan in die dag van sy inspeksie verheerlik.

13 Onderwerp julle ter wille van die Here aan elke menslike instelling,^{*c} of dit nou aan 'n koning is,^d wat die hoogste posisie het, 14 of aan goewer-neurs, wat deur die koning gestuur is om misdadigers te straf maar om dié wat goed doen, te prys.^e 15 Want dit is God se wil dat julle deur julle goeie gedrag die onredelike mense wat uit onkunde teen julle praat, kan stilmaak.^f 16 Wees soos vry mense,^g maar moenie julle vryheid gebruik as 'n verskoning* om slegte dinge te doen nie,^h maar gebruik dit om God as slawe te dien.ⁱ 17 Eer alle soorte mense,^j wees lief vir die hele gemeenskap van broers,^{*k} vrees God,^l eer die koning.^m

18 Laat knegte aan hulle meesters onderdanig wees met alle gepaste respek,ⁿ nie net aan dié wat goed en redelik is nie, maar ook aan dié wat moeilik is om tevrede te stel. 19 Want as iemand weens sy gewete voor God moeilike tye* verduur en onregverdig ly, maak dit God se hart bly.^o 20 Want water voordeel hou dit in as julle geslaan word omdat julle gesondig het en dit dan verduur?^p Maar as julle ly omdat julle goeie dinge gedoen het en dit dan verduur, maak dit God se hart bly.^q

21 Ja, hiervoor is julle geroep, want Christus het vir julle gely^r en vir julle 'n voorbeeld

2:13 *Lett. "skepping". 2:16 *Of "dek-mantel". 2:17 *Of "die broederskap". 2:19 *Of "droefheid; pyn".

gelaat sodat julle sy voetstap-
pe noukeurig kan volg.^a **22** Hy
het nooit gesondig nie,^b en hy
het nooit iets bedriegliks ge-
se nie.^c **23** Toe hy beledig* is,^d
het hy nie terug beledig* nie.^e
Toe hy gely het,^f het hy nie ge-
dreig nie, maar hy het die
saak oorgelaat aan die Een wat
regverdig oordeel.^g **24** Hy het
ons sondes in sy eie liggaam
aan die paal* gedra,^h sodat ons
dood sou wees vir[#] sonde en
kan lewe vir regverdigheid. En
"deur sy wonde is julle genees".ⁱ
25 Want julle was soos skape
wat wegdwaal,^j maar nou het
julle teruggekeer na die herder^k
en opsiener van julle siele.*

3 Vrouens, net so moet jul-
le onderdanig wees aan julle
mans,^l sodat mans wat nie aan
die woord gehoorsaam is nie,
sonder 'n woord deur die ge-
drag van hulle vrouens gewen
kan word^m **2** omdat hulle oog-
getuies is van julle goeie* ge-
dragⁿ en diep respek. **3** Julle
versiering moenie uiterlike
dinge wees, soos kunstig ge-
vlegde hare, goue versierings^o
en mooi klere nie **4** maar die
innerlike,* die blywende prag
van die stille en sagmoedige
gees^p wat baie waardevol is in
die oë van God. **5** Want dit is
hoe die heilige vrouens wat op
God gehoop het, hulle destyds
versier het, en hulle was onder-
danig aan hulle mans. **6** By-
voorbeeld, Sara het Abraham
gehoorsaam en hom heer ge-
noem.^q En julle het haar kinders
geword, solank julle aanhou om
goed te doen en julle nie deur
enigiets laat afskrik nie.^r

2:23 *Of "uitgeskel". **2:24** *Of
"boom". [#]Of "klaar sou wees met".
2:25 *Of "lewens". **3:2** *Lett. "kuis".
3:4 *Lett. "die geheime persoon van
die hart".

HFST. 2

- a Mt 16:24
Joh 13:15
b Joh 8:46
Heb 4:15
c Jes 53:9
d Mt 27:39
e Jes 53:7
Ro 12:21
f Heb 5:8
g Jer 11:20
Joh 8:50
h Le 16:21
Flp 2:8
i Jes 53:5
j Jes 53:6
k Ps 23:1
Jes 40:11

HFST. 3

- l Ro 7:2
1Kor 11:3
Ef 5:22
m 1Kor 7:16
n 1Pe 2:12
o Spr 11:22
p Ef 4:24
Kol 3:10, 12
1Ti 2:9, 10
q Ge 18:12
Ef 5:33
r Spr 3:25
Flp 1:28

Tweede kol.

- a Ef 5:25
b Ga 3:28
c 1Kor 1:10
Flp 2:2
d Ro 12:10
e Ro 15:5
Kol 3:12
f Ro 12:17
1Te 5:15
g 1Pe 2:23
h Ro 12:14
1Kor 4:12
i Jak 3:8
j Spr 8:13
k 3Jo 11
l 1Te 5:13
Jak 3:17
m 1Jo 3:22
n Ps 34:12-16
o Ro 13:3, 4
p Mt 5:11, 12
Han 5:41
1Pe 2:19
q Mt 10:28

7 Mans, net so moet julle
aanhou om volgens kennis met
julle vrouens saam te lewe.*
Behandel julle vrouens met re-
spek,^a want die vrou is swakker,
soos 'n delikate houer, en hulle
is ook saam met julle erfgena-
me^b van die onverdiende gawe
van die lewe. Anders sal God
nie na julle gebede luister nie.

8 Laastens moet julle almal
verenig wees in julle denke.^c Be-
toon medelye,* broederlike lief-
de, empatie^d en nederigheid.^e
9 Moenie een slegte daad met
'n ander slegte daad terugbe-
taal^f of een belediging met 'n an-
der belediging nie.^g Betaal eer-
der terug met 'n seën,^h want
julle is geroep om ander te seën,
sodat julle 'n seën kan ontvang.

10 Want "wie die lewe wil
liefhê en goeie dae wil sien,
moet sy tong weghou van sleg-
te praatjiesⁱ en sy lippe van
bedrog. **11** Hy moet wegdraai
van wat sleg is^j en doen wat
goed is.^k Hy moet vrede soek en
dit nastreef.^l **12** Want die oë
van Jehovah* is op die regver-
dige, en sy ore luister na hulle
smeekgebede,^m maar Jehovah*
is teen[#] dié wat slegte dinge
doen."ⁿ

13 Ja, wie sal iets slegs aan
julle doen as julle ywerig word
vir wat goed is?^o **14** Maar selfs
as julle ter wille van regverdig-
heid sou ly, is julle gelukkig.^p
Moet egter nie bang wees vir
dit waarvoor hulle bang is* nie,
en moet ook nie ontsteld raak
nie.^q **15** Maar heilig die Chris-
tus as Here in julle harte. Wees
altdyd gereed om julle te verde-

3:7 *Of "om bedagsaam teenoor julle
vrouens te wees; julle vrouens te ver-
staan". **3:8** *Sien Woordelys. **3:12**
*Sien Aanh. A5. [#]Of "die aange-
sig van Jehovah is teen". **3:14** *Of
moontlik "vir hulle dreigemente".

dig voor elkeen wat aandrang op 'n rede vir die hoop wat julle het, maar doen dit met sagmoedigheid^a en diep respek.^b

16 Behou 'n goeie gewete,^c sodat dié wat enigiets slegs teen julle sê, skaam kan kry^d as gevolg van julle goeie gedrag as volgelinge van Christus.^e **17** Want as dit God se wil is dat julle ly omdat julle iets goeds doen,^f is dit beter as om te ly omdat julle iets slegs doen.^g **18** Want Christus het eens en vir altyd vir sondes gesterf,^h 'n regverdige vir onregverdiges,ⁱ om julle na God te lei.^j Hy is doodgemaak in die vlees,^k maar lewend gemaak in die gees.^l **19** Hy het in hierdie toestand vir die geeste in die gevangenis gaan preek,^m **20** wat voorheen ongehoorsaam was toe God geduldig* in Noag se dag gewag hetⁿ terwyl die ark gebou is,^o waarin 'n paar mense, naamlik agt siele,^p veilig deur die water gebring is.^p

21 Doop, wat hiermee ooreenkom, red julle ook nou deur die opstanding van Jesus Christus. (Doop verwyder nie die vuilheid van die vlees nie, maar dit is 'n versoek tot God vir 'n goeie gewete.)^q **22** Hy is aan God se regterhand,^r want hy het na die hemel gegaan, en engelle en owerhede en magte is aan hom onderwerp.^s

4 Omdat Christus dan as 'n mens* gely het,^t moet julle julle ook met dieselfde denkwyses* bewapen. Want die persoon wat as 'n mens* gely het, het opgehou met sondes^u **2** sodat hy die res van sy tyd as 'n mens* nie meer vir die begeertes van

3:20 *Lett. "die geduld van God". "Of "mense". **4:1, 2** *Lett. "in die vlees". **4:1** *Of "gesindheid; vasbeslotenheid".

HFST. 3

- a Spr 15:1
- 2Ti 2:24, 25
- Tit 3:1, 2
- b Kol 4:6
- c Han 23:1
- Han 24:16
- 1Ti 1:5
- 1Ti 1:18, 19
- 1Ti 3:9
- d Tit 2:8
- e Ro 12:21
- 1Pe 2:12
- f 2Kor 1:7
- Kol 1:24
- g 1Pe 4:15
- h Heb 9:28
- i Ro 5:6
- j 2Kor 5:18
- k 1Kor 15:50
- l 1Ti 3:16
- m 2Pe 2:4
- Jud 6
- n Ge 6:2, 3
- o Ge 6:14
- p Ge 7:13, 23
- q Heb 9:14
- Heb 10:22
- r Ps 110:1
- Han 7:55
- Heb 10:12
- s Mt 28:18
- 1Kor 15:25
- Ef 1:20, 21
- Flp 2:9, 10
- Heb 1:6

HFST. 4

- t Flp 2:8
- u Ro 6:11
- Kol 3:5
- 1Jo 3:6

Tweede kol.

- a 2Kor 5:15
- b Ga 2:20
- Ef 5:17
- c Tit 3:3
- d Ro 13:13
- 1Kor 5:11
- Ga 5:19, 21
- Ef 4:17-19
- e 1Pe 3:16
- f Han 10:42
- Han 17:31
- 2Ti 4:1
- Op 20:12
- g Ef 2:1
- h Ro 12:3
- 1Ti 3:2
- Tit 2:6
- i Kol 4:2
- j Kol 3:14
- k Spr 10:12
- Spr 17:9
- 1Kor 13:4, 7
- l 2Kor 9:7
- Heb 13:2
- m Ro 12:6-8

mense lewe nie,^a maar vir God se wil.^b **3** Want in die verlede het julle lank genoeg die wil van die nasies gedoen^c toe julle julle oorgegee het aan skaamtelose gedrag,^{*} onbeheerste begeertes, dronkenskap, wilde partytjies,[#] drinkpartytjies en walglike[^] afgodiens.^d **4** Hulle vind dit vreemd omdat julle nie meer hierdie lewenswyse van wilde gedrag met hulle deel nie, en daarom sê hulle slegte dinge van julle.^e **5** Maar hierdie mense sal volgens hulle dade geoordeel word deur die een wat gereed is om die lewendes en die dooies te oordeel.^f **6** Om die waarheid te sê, dit is waarom die goeie nuus ook aan die dooies bekend gemaak is,^g sodat hulle in God se oë in ooreenstemming met die gees kan lewe, al word hulle in die oë van mense volgens die uiterlike* geoordeel.

7 Maar die einde van alles het naby gekom. Wees dus verstandig^h en wees waaksaam[#] wanneer dit kom by gebede.ⁱ **8** Die belangrikste van alles is dat julle intense liefde vir mekaar moet hê,^j want die liefde bedek baie sondes.^k **9** Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.^l **10** Gebruik die gawe in die mate waarin elkeen van julle dit ontvang het, om mekaar te dien as goeie bestuurders van God se onverdiende goedheid wat op verskillende maniere betoon word.^m **11** As iemand praat, laat hy oor die heilige verklarings van God praat. As iemand dien, laat hy vertrou op die krag

4:3 *Of "dade van skaamtelose gedrag". Meervoud van die Griekse woord *a-sel/gei-a*. Sien Woordelys. "Of "swelgerye". [^]Lett. "onwettige". **4:6** *Lett. "vlees". **4:7** *Of "gesond van verstand". "Of "wakker".

wat God voorsien,^a sodat God in alles deur middel van Jesus Christus geëer kan word.^b Die heerlikheid en die mag is syne vir ewig en altyd. Amen.

12 Geliefdes, moenie verbaas wees oor die swaar tye* wat julle deurmaak^c asof iets vreemds met julle gebeur nie. **13** Wees eerder bly^d omdat julle vir dieselfde redes ly as wat die Christus gely het,^e sodat julle ook bly kan wees en kan oorloop van vreugde wanneer sy heerlikheid geopenbaar word.^f

14 As julle vir die naam van Christus beledig* word, is julle gelukkig,^g want dit beteken dat julle die gees van heerlikheid, ja, die gees van God, het.

15 Maar laat niemand van julle ly as 'n moordenaar, 'n dief, 'n misdadiger of iemand wat hom in ander se sake inmeng nie.^h **16** As iemand egter ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie skaam nie,ⁱ maar aanhou om God te verheerlik terwyl hy hierdie naam dra. **17** Want dit is die vasgestelde tyd vir die oordeel om by die huis van God te begin.^j As dit dan nou eers by ons begin,^k wat sal die uiteinde wees vir dié wat nie aan die goeie nuus van God gehoorsaam is nie?^l **18** "En as die regverdige met moeite gered word, wat sal met die goddelose en die sondaar gebeur?"^m **19** Daarom moet dié wat in ooreenstemming met die wil van God ly, aanhou om hulleself oor te laat* aan 'n getroue Skepper terwyl hulle goed doen.ⁿ

5 As 'n mede-ouerman en 'n getuie van hoe die Christus gely het en as iemand wat ook die heerlikheid gaan ontvang

4:12 *Of "vurige beproewinge". 4:14 *Of "bespot". 4:19 *Of "toe te ver-trou".

HFST. 4

- a Jes 12:2
Ef 3:20
b 1Kor 10:31
c 1Pe 5:9
d Han 5:41
Jak 1:2
e Ro 8:17
2Kor 4:10
2Ti 3:12
f 1Pe 1:7
g Jak 1:12
Jak 5:11
h 1Ti 5:13
1Pe 2:20
i Kol 1:24
Heb 12:2
j Heb 3:6
k 1Kor 11:32
l 2Te 1:7,8
m Spr 11:31
Mt 7:13,14
n 2Ti 1:12

Tweede kol.

HFST. 5

- a Ro 8:18
b Jes 40:11
Joh 21:16
Han 20:28
c Joh 10:11
d 1Ti 3:2,3
e 2Kor 1:24
f Flp 3:17
g Heb 13:20
h 1Kor 9:25
2Ti 4:8
1Pe 1:3,4
i Ef 5:21
Jak 3:17
j Spr 3:34
Jes 57:15
Jak 4:6
k Mt 23:12
Lu 14:11
l Mt 6:25
m Ps 55:22
n 1Te 5:6
o Lu 22:31
p Ef 6:11
Jak 4:7
q Han 14:22
2Ti 3:12

wat geopenbaar gaan word,^a vra ek dus die ouermanne onder julle dringend: **2** Wees herders vir die kudde van God^b wat onder julle sorg is en dien as opsieners,* nie omdat julle gedwing word nie, maar gewillig, volgens God se wil,^c en ook nie uit liefde vir oneerlike wins nie,^d maar gretig. **3** Moet ook nie baasspeel oor dié wat God se erfdeel is nie,^e maar word voorbeelde vir die kudde.^f **4** En wanneer die hooffherder^g geopenbaar word, sal julle die glorieryke kroon ontvang wat nie kan vergaan nie.^h

5 Net so moet julle, die jonger mans, onderdanig wees aan die ouer mans.*ⁱ Maar julle almal moet nederig wees teenoor mekaar,^j want God staan die hoogmoediges teë, maar hy gee onverdiende goedheid aan die nederiges.^j

6 Onderwerp julle nederig aan die magtige hand van God, sodat hy julle op die regte tyd kan verheerlik.^k **7** Gee al julle bekommernisse oor aan God,^l want hy gee om vir julle.*^m **8** Bly helder van verstand, bly wakker!ⁿ Julle teenstander, die Duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.^o **9** Maar weerstaan hom^p en bly standvastig in die geloof, omdat julle weet dat die hele gemeenskap van julle broers* in die wêreld op dieselfde manier ly.^q **10** Maar nadat julle 'n klein rukkige gely het, sal die God van alle onverdiende goedheid, wat julle geroep het om in eenheid met Chris-

5:2 *Of "en waak goed daaroor". 5:5 *Of "die ouermanne". Sien Woordelys. *Of "beklee (omgord) julle met nederigheid van verstand". 5:7 *Of "hy sorg vir julle". 5:9 *Lett. "julle broederskap".

tus te wees en om ewige eer te ontvang,^a self julle opleiding voltooi. Hy sal julle standvastig maak,^b hy sal julle sterk maak,^c hy sal julle 'n stewige fondament gee. **11** Aan hom behoort die mag vir ewig. Amen.

12 Deur Silva'nus,^{*d} wat ek as 'n getroue broer beskou, het ek met min woorde aan julle ge-

5:12 *D.w.s. Silas.

HFST. 5

a 2Kor 4:17
1Te 2:12

b 2Te 2:16, 17

c Ef 6:10

d Han 15:27

Tweede kol.

a Han 12:12

skryf om julle aan te moedig en om 'n ernstige getuienis te gee dat die onverdiende goedheid wat God teenoor julle betoon het, opreg is. Staar vas daarin. **13** Sy wat in Babilon is, wat net soos julle uitgekies is, stuur vir julle groete, en so ook Markus,^a my seun. **14** Groet mekaar met 'n liefdevolle soen.

Mag julle almal wat in eenheid met Christus is, vrede hê.

DIE TWEDE BRIEF VAN PETRUS

OORSIG

1 Groete (1)

Verseker julle roeping (2-15)

Voeg eienskappe by geloof (5-9)

Profetiese woord nog sekerder (16-21)

2 Valse onderrigters sal verskyn (1-3)

Valse onderrigters sal geoordeel word (4-10a)

Engele in Tartarus gegooi (4)

Vloed; Sodom en Gomorra (5-7)

Kenmerke van valse

onderrigters (10b-22)

3 Spotters ignoreer vernietiging

wat kom (1-7)

Jehovah nie traag nie (8-10)

Dink aan watter soort mense julle behoort te wees (11-16)

Nuwe hemele en nuwe aarde (13)

Moenie weggelei word nie (17, 18)

1 Van Simon Petrus, 'n slaaf en apostel van Jesus Christus. Aan dié wat deur die regverdigheid van ons God en die Redder Jesus Christus 'n geloof verkry het wat net so kosbaar is soos ons s'n:

2 Mag julle deur akkurate kennis^a van God en van Jesus, ons Here, onverdiende goedheid en vrede in oorfloed geniet. **3** Want deur God se krag het ons alles ontvang wat ons

HFST. 1

a Kol 1:9

Tweede kol.

a Joh 17:3

b Lu 22:29, 30

Joh 14:2
Ga 3:29

c 1Kor 15:53

1Pe 1:3, 4
1Jo 3:2
Op 20:6

help om met toegewydheid aan God te lewe. Dit is te danke aan die akkurate kennis van die Een wat ons deur sy eie heerlijkheid en goedheid geroep het.^a **4** Deur hierdie dinge het hy aan ons die belofte gegee wat kosbaar en baie groot is.^b Danksy hierdie belofte kan julle deel in die krag en heerlijkheid van God^c omdat julle ontsnap het van die wêreld se sedelike en geestelike agteruitgang wat die

gevolg is van verkeerde begeertes.

5 Ja, daarom moet julle julle ywerig inspan^a om by julle geloof goedheid^{*b} te voeg, by julle goedheid^{*c} kennis,^c **6** by julle kennis selfbeheersing, by julle selfbeheersing^d volharding, by julle volharding toegewydheid aan God,^e **7** by julle toegewydheid aan God broederlike liefde, by julle broederlike liefde liefde vir alle mense.^f **8** Want as hierdie dinge in julle bestaan en oorvloedig is, sal julle nie onbedrywig of onproduktief^g word^g wat die akkurate kennis van ons Here Jesus Christus betref nie.

9 Want enigiemand wat 'n gebrek aan hierdie dinge het, is blind en sluit sy oë vir die lig^{*h} en het vergeet dat hy lank gelede van sy sondes gereinig is.ⁱ

10 Broers, daarom moet julle julle selfs meer inspan om julle roeping^j en verkiesing te verseker, want as julle aanhou om hierdie dinge te doen, sal julle beslis nooit misluk nie.^k

11 Om die waarheid te sê, so sal toegang tot die ewige Koninkryk^l van ons Here en Redder Jesus Christus ryklik aan julle gegee word.^m

12 Daarom is ek van plan om julle altyd aan hierdie dinge te herinner, al ken julle dit en staan julle vas in die waarheid wat in julle is. **13** Maar ek dink dat dit reg is om julle deur herinneringe aan te vuur,ⁿ solank ek in hierdie tabernakel^{*o} is, **14** aangesien ek weet dat my tabernakel binnekort verwyder sal word, net soos ons Here Jesus Christus dit aan my duidelik gemaak het.^p **15** Ek sal al-

1:5 *Of "sedelike goedheid; deug". 1:8 *Of "onvrugbaar". 1:9 *Of moontlik "is blind en kortsigtig". 1:13 *Of "tent", d.w.s. y aardse liggaam.

HFST. 1

a Flp 2:12
2Ti 2:15
Heb 4:11
Jud 3

b Flp 4:8

c Joh 17:3
Heb 5:14

d 1Kor 9:25
2Ti 2:24

e 2Pe 2:9

f 1Te 4:9

g Tit 3:14

h 1Jo 2:9
Op 3:17

i Heb 9:14

j Heb 3:1

k 2Ti 4:7, 8

l Da 2:44

m Lu 16:9
Joh 3:5

n Ro 15:15
Jud 5

o 2Kor 5:1

p Joh 21:18

Tweede kol.

a Mt 17:2
Mr 9:2
Lu 9:29

b Ps 2:7
Mt 17:1, 5
Mr 9:7
Lu 9:35

c Ps 119:105
Joh 1:9

d Nu 24:17
Op 22:16

e 2Ti 3:16

f 2Sa 23:2
Han 1:16
Han 28:25
1Pe 1:11

HFST. 2

g Mt 24:24
1Ti 4:1

h 1Kor 6:20

tyd my bes doen sodat julle self hierdie dinge kan onthou^{*} nadat ek vertrek het.

16 Toe ons die krag en teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus aan julle bekend gemaak het, was dit nie geba-seer op valse stories wat mense op 'n slim manier uitgedink het nie. Dit was eerder omdat ons oggetuies van sy grootheid was.^a **17** Want hy het eer en heerlikheid van God, die Vader, ontvang toe die bron van groot heerlikheid hierdie woorde vir hom gesê het: ^{*} "Dit is my Seun, my geliefde, wat ek self goed-gekeur het."^b **18** Ja, ons het hierdie woorde uit die hemel hoor kom terwyl ons saam met hom op die heilige berg was.

19 Die profetiese woord is dus vir ons nog sekerder gemaak, en julle doen goed deur aandag daaraan te skenk soos aan 'n lamp^c wat in 'n donker plek skyn (totdat die dag aanbreek en die dagster^d opkom) in julle harte. **20** Want julle is bewus van hierdie belangrike feit: Geen profesie in die Skrif is gebaseer op enige persoonlike idees^{*} nie. **21** Want profesieë het nooit deur die wil van 'n mens ontstaan nie,^e maar mense het God se woorde bekend gemaak terwyl hulle deur heilige gees geleel^{*f} is.^f

2 Daar was egter ook val-se profete onder die volk, en net so sal daar valse onder-richters onder julle wees.^g Hulle sal stillettjies skadelike sektes inbring en sal selfs die eienaar verwerp wat hulle gekoop het.^h As gevolg hiervan sal hulle vinnig vernietig word. **2** Verder sal baie hulle skaamtelose

1:15 *Of "meld". 1:17 *Lett. "so 'n stem aan hom oorgedra het". 1:20 *Of "interpretasie". 1:21 *Of "be-weeg". Lett. "meegevoer".

gedrag^a nvolg, en weens hulle sal mense sleg praat van die weg van die waarheid.^b **3** Hulle sal julle ook gierig uitbuit met valse woorde. Maar hulle oordeel, waarop daar lank gelede besluit is,^c kom vinnig nader, en hulle vernietiging sal beslis kom.^d

4 God het selfs die engele wat gesondig het,^e nie gespaar nie, maar hy het hulle gestraf deur hulle in Tar'tarus^f te gooi en hulle in kettings^g van digte duisternis te sit om hulle vir die oordeel te bewaar.^g **5** Hy het ook nie die wêreld van lank gelede gespaar nie,^h maar hy het Noag, 'n prediker van regverdigheid,ⁱ saam met sewe ander veilig bewaar^j toe hy 'n vloed oor 'n wêreld van goddelose mense gebring het.^k **6** En hy het die stede Sodom en Gomor'ra veroordeel^l deur hulle tot as te verbrand, en daardeur het hy vir goddelose mense 'n voorbeeld gegee van wat sou kom.^m **7** Maar hy het die regverdige Lot verlos,ⁿ wat baie onsteld was oor die skaamtelose gedrag^{*} van die wettelose mense, **8** want daardie regverdige man se regverdige siel^{*} is dag ná dag gepynig deur die wettelose dinge wat hy gesien en gehoor het terwyl hy tussen hulle gewoon het. **9** Jehovah^{*} weet dus hoe om mense wat hom met toegewydheid dien, uit moeilike omstandighede te red.^o Maar hy bewaar onregverdige mense om vernietig te word op die dag van die oordeel,^p **10** veral dié wat die liggame^{*} van ander on-

2:2 *Of "dade van skaamtelose gedrag". Meervoud van die Griekse woord *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys. 2:4, 8 *Sien Woordelys. 2:4 *Of moontlik "putte". 2:7 *Grieks: *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys. 2:9, 11 *Sien Aanh. A5. 2:10 *Lett. "vlees".

HFST. 2

a Jud 4

b Jes 52:5

c Jud 4

d 2Pe 3:9

e Ge 6:4
Ef 6:12

f 1Pe 3:19, 20

g Jud 6

h Ge 7:23

i Ge 6:9
Heb 11:7

j Ge 8:18

k 2Pe 3:6

l Ge 19:24, 25

m Jud 7

n Ge 19:15, 16

o Ps 34:19
1Kor 10:13
2Ti 4:18
Op 3:10p Ro 2:5
2Pe 3:7

Tweede kol.

a Jud 7

b Eks 22:28
Jud 8

c Jud 9

d Jud 10

e Ro 13:13

f Jud 12

g Mt 5:28

h Nu 22:5, 6
Jud 11
Op 2:14i Nu 22:7
Ne 13:2j Nu 22:31, 34
Nu 31:8

k Nu 22:28

l Jud 12, 13

rein wil maak^a en wat neersien op gesag.^b

Hulle is uitdagend en arrogant en is nie bang om sleg te praat van dié wat eer verdien nie, **11** terwyl engele, al is hulle sterker en kragtiger, hulle nie met beledigende woorde beskuldig nie, uit respek vir Jehovah.^{*c} **12** Maar hierdie mense is soos verstandelose diere wat instinktief optree en geboore word om gevang en vernietig te word, en hulle praat beledigend oor dinge waarvan hulle niks weet nie.^d Hulle sal vernietig word as gevolg van hulle eie slegte gedrag, **13** en hulle sal skade ly as 'n beloning vir hulle eie skadelike gedrag.

Hulle geniet dit om hulle oor te gee aan allerhande uitspattige dinge,^e selfs gedurende die dag. Hulle is soos vlekke en merke, en hulle verlustig hulle in bedrieglike leringe terwyl hulle saam met julle feesvier.^f **14** Hulle oë is vol egbreuk^g en kan nie ophou sondig nie, en hulle mislei dié wie se geloof nie sterk is nie. Hulle het 'n hart wat vol gierigheid is. Hulle is vervloekte kinders. **15** Omdat hulle van die reguit pad afgedwaal het, is hulle mislei. Hulle het dieselfde pad gevolg as Bileam,^h die seun van Beor, wat lief was vir die beloning van slegte dade,ⁱ **16** maar hy is terreggewys vir sy eie oortreding.^j 'n Stom donkie wat met die stem van 'n mens gepraat het, het probeer keer dat die profeet iets dwaas doen.^k

17 Hulle is fonteine sonder water en miswolke wat deur 'n hewige storm aangewaai word, en die donkerste duisternis is vir hulle bewaar.^l **18** Want hulle sê dinge wat indrukwekkend klink maar niks beteken nie. En hulle bevorder vleeslike

begeertes^a en skaamtelose gedrag,* waardeur hulle mense mislei wat onlangs gevlug het van dié wat 'n sondige lewe lei.^b **19** Terwyl hierdie persone vryheid aan hulle belowe, is hulle self slawe van sonde.^c Want elkeen wat deur iemand* anders oorwin word, word sy slaaf.^d **20** Ja, as hulle akkurate kennis van die Here en Redder Jesus Christus verkry het en as gevolg daarvan gevlug het van die dinge van die wêreld wat 'n mens onrein maak,^e maar dan weer daarby betrokke raak en daardeur oorweldig word, het hulle laaste toestand erger geword as die eerste.^f **21** Dit sou vir hulle beter geestes het om nie akkurate kennis van die weg van regverdigheid te hê nie as om dit te hê maar dan weg te draai van die heilige gebod wat hulle ontvang het.^g **22** Wat met hulle gebeur het, bewys die waarheid van die spreekwoord wat sê: “Die hond het teruggekeer na wat hy opgegooi het, en die vark wat gewas is, het weer in die modder gaan rol.”^h

3 Geliefdes, dit is nou die tweede brief wat ek aan julle skryf, waarin ek, net soos in my eerste brief, julle vermoë om helder te dink, aanwakker deur julle aan sekere dinge te herinner.ⁱ **2** Dan sal julle die woorde kan onthou wat die heilige profete voorheen gesê* het, so wel as die gebod van die Here en Redder deur middel van julle apostels. **3** In die eerste plek moet julle weet dat daar in die laaste dae spotters sal kom, wat hulle eie begeertes sal volg.^j

2:18 *Of “dade van skaamtelose gedrag”. Meervoud van die Griekse woord *a-sel'ge'i*-a. Sien Woordelys. **2:19** *Of “iets”. **3:2** *Of “voorspel”.

HFST. 2

a Jud 16

b 2Pe 2:14

c 1Pe 2:16

d Ro 6:16

e 2Pe 1:4

f Heb 6:4-6
Heb 10:26g Lu 12:47
Joh 15:22

h Spr 26:11

HFST. 3

i Ro 15:15
2Pe 1:13

j Jud 17, 18

Tweede kol.

a Jer 17:15
Mt 24:48
Lu 12:45

b Ese 12:22, 27

c Ge 1:6, 9

d Ge 7:11, 23
Mt 24:38, 39e De 7:10
2Te 1:7-9

f Ps 90:4

g Hab 2:3

h Ro 2:4

i Jl 2:31
Sef 1:14

j 1Te 5:2

k Op 21:1

l Ps 37:10
Jes 13:9
Sef 1:18
Op 6:14

Hulle sal spot **4** en sê: “Waar is sy beloofde teenwoordigheid dan?”^a Van die dag af dat ons voorvaders gesterf het, bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af.”^b

5 Want hulle ignoreer opsetlik die feit dat daar lank gelede hemele en 'n aarde was wat deur die woord van God stewig bo water gestaan het en deur water omring is,^c **6** en deur middel van hierdie woord is die wêreld van daardie tyd vernietig toe dit met water oorstroom is.^d **7** Maar deur dieselfde woord word die hemele en die aarde wat nou bestaan, vir die vuur bewaar en word dit gehou tot die dag van oordeel en van die vernietiging van die goddelose mense.^e

8 Maar moenie hiervan vergeet nie, geliefdes: Een dag by Jehovah* is soos 'n duisend jaar en 'n duisend jaar soos een dag.^f **9** Jehovah* is nie traag om sy belofte te vervul,^g soos party mense dink nie, maar hy is geduldig met julle omdat hy nie wil hê dat enigiemand vernietig moet word nie, maar wil hê dat almal berou moet toon.^h **10** Maar Jehovah* se dagⁱ sal soos 'n dief kom,^j en op daardie dag sal die hemele met 'n gedreun^k verbygaan.^k Die elemente, wat intens warm sal wees, sal verdwyn, en die aarde en die werke daarin sal geopenbaar word.^l

11 Aangesien al hierdie dinge so sal verdwyn, moet julle dink aan watter soort mense julle behoort te wees. Julle gedrag moet heilig wees en julle moet dade van toegewydheid aan God verrig, **12** terwyl julle wag vir die teenwoordigheid

3:8-10 *Sien Aanh. A5. **3:10** ^hOf “ge-suis”.

van die dag van Jehovah* en dit goed in gedagte hou.^a In hierdie dag sal die hemele deur vlamme vernietig word^b en sal die elemente in die intense hitte smelt! **13** Maar daar is nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarna ons volgens sy belofte uit-sien,^c en regverdigheid sal daar-in woon.^d

14 Daarom, geliefdes, aangesien julle vir hierdie dinge wag, moet julle julle bes doen om uiteindelik vlekkeloos en onbesmet en in vrede deur hom bevind te word.^e **15** En beskou die geduld van ons Here as redding, net soos ons geliefde broer Paulus ook aan julle geskryf het volgens die wysheid wat aan hom gegee is.^f **16** Hy praat oor hier-

3:12 *Sien Aanh. A5. ^aOf “en 'n sterk begeerte daarvoor het”. Lett. “dit bespoedig”.

HFST. 3

a Sef 1:14

b Jes 34:4

c Jes 65:17
Jes 66:22
Op 21:1

d Jes 11:4, 5

e 2Kor 13:11

f Ro 2:4

Tweede kol.

a Mt 24:24
Ef 4:14

die dinge, net soos hy ook in al sy briewe doen. Party dinge in sy briewe is egter moeilik om te verstaan, en dit word verdraai deur mense wat oningelig* is of wie se geloof nie sterk is nie. Hulle verdraai ook die res van die Skrif, en dit sal tot hulle vernietiging lei.

17 Daarom, geliefdes, omdat julle hierdie dinge vooruit weet, moet julle oppas dat die wettelose mense met hulle valse leringe julle nie saam met hulle weglei en julle julle standvastigheid* verloor nie.^a **18** Nee, maar hou aan om te groei in die onverdiende goedheid en kennis van ons Here en Redder Jesus Christus. Aan hom behoort die eer, nou sowel as tot die dag van die ewigheid. Amen.

3:16 *Of “ongeleerd”. **3:17** *Of “stabiteit”.

DIE EERSTE BRIEF VAN

JOHANNES

O O R S I G

- Woord van die lewe (1-4)
Loop in die lig (5-7)
Sondes moet bely word (8-10)
- Jesus, 'n versoeningsoffer (1, 2)
Gehoorzaam aan sy gebooië (3-11)
Ou en nuwe gebod (7, 8)
Redes vir brief (12-14)
Moenie die wêreld liefhê nie (15-17)
Waarskuwing teen antichris (18-29)
- Ons is God se kinders (1-3)
Kinders van God en kinders van die Duiwel (4-12)
Jesus sal Duiwel se werke vernietig (8)

- Wees lief vir mekaar (13-18)
God groter as ons hart (19-24)
- Toets geïnspireerde stellings (1-6)
Kennis van en liefde vir God (7-21)
“God is liefde” (8, 16)
Geen vrees in liefde nie (18)
- Geloof in Jesus oorwin die wêreld (1-12)
Wat liefde vir God beteken (3)
Vertrou in die krag van gebed (13-17)
Wees versigtig in 'n goddelose wêreld (18-21)
Hele wêreld in mag van Duiwel (19)

1 Ons skryf aan julle oor die woord van die lewe, wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons bekyk het en met ons hande gevoel het.^a **2** Ja, die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien. Ons getuig^b en vertel julle van die ewige lewe^c wat by die Vader was en wat aan ons geopenbaar is. **3** Ons vertel ook vir julle wat ons gesien en gehoor het^d sodat julle ook met ons verenig kan wees.* En ons is ook verenig met die Vader en met sy Seun Jesus Christus.^e **4** En ons skryf hierdie dinge sodat ons vreugde volkome kan wees.

5 Hier is die boodskap wat ons van hom gehoor het en aan julle bekend maak: God is lig,^f en daar is geen duisternis in hom* nie. **6** As ons sê: "Ons is met hom verenig," en tog hou ons aan om in die duisternis te lewe, lieg ons en lewe ons nie in ooreenstemming met die waarheid nie.^g **7** Maar as ons in die lig lewe soos hy in die lig is, dan is ons verenig met mekaar, en die bloed van Jesus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.^h

8 As ons sê: "Ons het geen sonde nie," mislei ons onself en is die waarheid nie in ons nie. **9** As ons ons sondes bely, is hy getrou en regverdig om ons sondes te vergewe en ons van alle onregverdigheid te reinig.ⁱ **10** As ons sê: "Ons het nie gesondig nie," maak ons hom 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

2 My kindertjies, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie 'n sonde pleeg nie. Maar as iemand wel 'n sonde

1:3 *Of "in deelgenootskap kan hê".
1:5 *Of "in eenheid met hom".

HFST. 1

- a Joh 1:4
Joh 6:68
b Joh 21:24
Han 2:32
c Joh 17:3
d Joh 15:26, 27
Han 4:20
e Joh 17:20, 21
f Jak 1:17
g 2Kor 6:14
Ef 5:8
Tit 1:16
1Jo 2:4
h Ro 3:25
Ef 1:7
Heb 9:14
Heb 10:22
Op 1:5
i 1Kn 8:46
Pr 7:20
j Ps 32:5
Spr 28:13
Jak 5:16

Tweede kol.

HFST. 2

- a Ro 8:34
Heb 7:25
b 1Ti 2:5
c 1Kor 5:7
d Jes 53:5
Ro 3:25
1Ti 1:15
Heb 2:17
1Pe 2:24
1Jo 4:10
e Mt 20:28
Joh 1:29
f 1Jo 4:18
g Joh 14:20
Joh 17:21
h Joh 13:15
1Pe 2:21
i Joh 13:34
2Jo 5
j Joh 1:9
Joh 8:12
k Ef 4:31
Kol 3:8
l 1Kor 13:2
1Jo 3:15
m Ef 5:8
n 1Jo 4:20
o Joh 12:35
p Lu 24:47
Han 4:12
Han 10:43

pleeg, het ons 'n helper* by die Vader, naamlik Jesus Christus,^a wat regverdig is.^b **2** En hy is 'n versoeningsoffer vir ons sondes,^c en tog nie net vir ons sondes nie,^d maar ook vir dié van die hele wêreld.^e **3** Hieraan sal ons weet dat ons hom leer ken het: as ons aanhou om sy gebooie te gehoorsaam. **4** Die een wat sê: "Ek het hom leer ken," en tog nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. **5** Maar die liefde vir God is waarlik tot volmaaktheid gebring in elkeen wat sy woord gehoorsaam.^f So weet ons dat ons in eenheid met hom is.^g **6** Die een wat sê dat hy in eenheid met hom bly, is self onder verpligting om te lewe net soos hy gelewe het.^h

7 Geliefdes, ek skryf nie aan julle 'n nuwe gebod nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het.ⁱ Hierdie ou gebod is die woord wat julle gehoor het. **8** En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod, wat waar is in sy geval en in julle s'n, want die duisternis gaan verby en die ware lig skyn reeds.^j

9 Die een wat sê dat hy in die lig is en tog sy broer haat,^k is nog steeds in die duisternis.^l **10** Die een wat sy broer liefhet, bly in die lig,^m en daar is geen struikelblok vir hom nie. **11** Maar die een wat sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis,ⁿ en hy weet nie waarheen hy gaan nie,^o want die duisternis het sy oë verblind.

12 Kindertjies, ek skryf aan julle omdat julle sondes ter wille van sy naam vergewe is.^p

13 Vaders, ek skryf aan julle omdat julle hom leer ken het

2:1 *Of "iemand wat vir ons pleit".

wat van die begin af is. Jong manne, ek skryf aan julle omdat julle die Duiwel* oorwin het.^a Jong kinders, ek skryf aan julle omdat julle die Vader leer ken het.^b **14** Vaders, ek skryf aan julle omdat julle hom leer ken het wat van die begin af is. Jong manne, ek skryf aan julle omdat julle sterk is^c en die woord van God in julle bly^d en julle die Duiwel* oorwin het.^e

15 Moenie die wêreld of die dinge in die wêreld liefhê nie.^f As iemand die wêreld liefhet, is die liefde vir die Vader nie in hom nie,^g **16** want alles wat in die wêreld is – die begeerte van die vlees^h en die begeerte van die oëⁱ en die gesog met 'n mens se besittings* – het nie hulle oorsprong by die Vader nie, maar het hulle oorsprong by die wêreld. **17** Wat meer is, die wêreld en sy begeertes gaan verby,^j maar die een wat die wil van God doen, bly vir ewig.^k

18 Jong kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat die antichris kom,^l en daar het nou reeds baie antichriste verskyn,^m en daarom weet ons dat dit die laaste uur is. **19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons soort nie,ⁿ want as hulle van ons soort was, sou hulle by ons gebly het. Maar hulle het uitgegaan sodat dit duidelik kan wees dat nie almal van ons soort is nie.^o **20** En julle is gesalf deur die Een wat heilig is,^p en julle almal het kennis. **21** Ek skryf aan julle, nie omdat julle nie die waarheid ken nie,^q maar omdat julle dit ken, en omdat geen leuen sy oorsprong by die waarheid het nie.^r

2:13, 14 *Lett. "die Bose". **2:16** *Of "die spoggerige vertoon van 'n mens se lewensmiddele". **2:19** *Of "hulle het nie aan ons behoort nie".

HFST. 2

- a Jak 4:7
1Jo 5:19
Op 12:10, 11
b Joh 17:25
c Ef 6:10
d 3Jo 3
e Ro 8:37
f Ro 12:2
1Kor 7:31
Tit 2:11, 12
g Mt 6:24
Jak 4:4
h Mt 5:28
Ro 13:14
i Ge 3:6
Spr 27:20
Mt 4:8
j 1Kor 7:31
1Pe 1:24
k Ps 37:29
Mt 7:21
Joh 6:40
l 2Te 2:3
2Pe 2:1
m 2Te 2:7
2Jo 7
Jud 4
n Han 20:30
o 1Kor 11:19
p 2Kor 1:21
1Jo 2:27
q Joh 8:31, 32
r Joh 8:44

Tweede kol.

- a 1Jo 4:3
2Jo 7
b 1Jo 2:18
c Joh 5:23
2Jo 9
d Ro 10:9, 10
e 1Jo 4:15
f Joh 14:23
2Jo 6
g Joh 17:3
1Jo 1:2
h 2Kor 1:21
1Jo 2:20
i Joh 14:26
Joh 16:13
j Joh 17:21
k 1Jo 4:17
l 1Pe 1:23
1Jo 4:7

HFST. 3

- m Joh 3:16
n Joh 1:12, 13
o Joh 15:19
p Joh 17:25
q Ro 8:15, 16
Ef 1:5
r 1Kor 15:49
Flp 3:20, 21

22 Wie is die leuenaar? Dit is die een wat ontken dat Jesus die Christus is.^a Dit is die antichris,^b die een wat die Vader en die Seun verwerp. **23** Elkeen wat die Seun verwerp, is nie in eenheid met die Vader nie.^c Maar die een wat die Seun erken,^d is in eenheid met die Vader.^e **24** Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly.^f As die dinge wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in eenheid met die Seun en in eenheid met die Vader bly. **25** En dit is wat hy self aan ons belowe het – die ewige lewe.^g

26 Ek skryf hierdie dinge aan julle oor dié wat julle probeer mislei. **27** En wat julle betref, die salwing wat julle van hom ontvang het,^h bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie, maar die salwing wat van hom kom, leer julle oor allesⁱ en is waar en is nie 'n leuen nie. Net soos dit julle geleer het, moet julle in eenheid met hom bly.^j **28** Daarom, kindertjies, bly nou in eenheid met hom, sodat ons vrymoedigheid van spraak kan hê^k wanneer hy geopenbaar word en nie by sy teenwoordigheid in skaamte van hom af hoof weg te gaan nie. **29** As julle weet dat hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat regverdigheid beoefen, uit hom gebore is.^l

3 Dink aan die liefde wat die Vader ons gegee het.^m Ons word kinders van God genoem,ⁿ en dit is wat ons is. Daarom ken die wêreld ons nie,^o want dit het hom nie leer ken nie.^p **2** Geliefdes, ons is nou kinders van God,^q maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie.^r Ons weet wel dat ons soos hy sal wees wanneer hy geopenbaar word, want ons sal hom

sien net soos hy is. **3** En elkeen wat hierdie hoop in hom het, reinig homself^a net soos hy rein is.

4 Elkeen wat sonde beoefen, beoefen ook wetteloosheid, en sonde is wetteloosheid. **5** Julle weet ook dat hy geopenbaar is om ons sondes weg te neem,^b en daar is geen sonde in hom nie. **6** Elkeen wat in eenheid met hom bly, beoefen nie sonde nie.^c Niemand wat sonde beoefen, het hom gesien of hom leer ken nie. **7** Kinder-tjies, laat niemand julle mislei nie. Die een wat regverdigheid beoefen, is regverdig, net soos hy regverdig is. **8** Die een wat sonde beoefen, het sy oorsprong by die Duiwel, want die Duiwel sondig al van die begin af.^{*d} Die Seun van God is geopenbaar met die doel om die werke van die Duiwel te vernietig.^{#e}

9 Elkeen wat uit God gebore is, beoefen nie sonde nie,^f want Sy saad* bly in so iemand, en hy kan nie sonde beoefen nie, want hy is uit God gebore.^g **10** Die kinders van God en die kinders van die Duiwel word aan hierdie feit geken: Elkeen wat nie regverdigheid beoefen nie, het nie sy oorsprong by God nie, en ook nie die een wat sy broer nie liefhet nie.^h **11** Want die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, is dat ons mekaar moet liefhê.ⁱ **12** Ons moenie soos Kain wees, wat sy oorsprong by die Duiwel* gehad het en sy broer doodgemaak het nie.^j En hoekom het hy hom doodgemaak? Want sy eie werke was goddeloos,^k maar

3:8 *Of "vandat hy begin het". #Of "verbreek". **3:9** *D.w.s. saad wat kan voortplant of vrug kan dra. **3:12** *Lett. "die Bose".

HFST. 3

- a 2Kor 7:1
- b Le 16:21, 22
Jes 53:11
Joh 1:29
- c Ro 6:12
- d Ge 3:14
Joh 8:44
- e Joh 16:33
Heb 2:14
- f 1Jo 5:18
- g 1Pe 1:23
- h 1Jo 4:8
- i Joh 13:34
1Jo 2:7
2Jo 5
- j Ge 4:8
- k Ge 4:5

Tweede kol.

- a Ge 4:4
Heb 11:4
- b Mt 5:11
Joh 15:18
2Ti 3:12
- c Joh 5:24
Ro 8:2
- d 1Jo 2:10
- e Joh 3:36
- f Mt 5:21, 22
Ef 4:31
- g Ge 9:6
Nu 35:31
Op 21:8
- h Joh 3:16
Joh 13:1
Joh 15:13
- i Joh 13:15
Ro 16:3, 4
1Te 2:8
- j De 15:7, 8
Lu 3:11
Ro 12:13
Jak 2:15, 16
1Jo 4:20
- k Ro 12:9
- l Jak 1:22
Jak 2:17
- m 1Pe 1:22
- n Heb 4:13
- o Heb 4:16
1Jo 5:14
- p Ps 34:15
Mt 7:8
1Pe 3:12
- q Joh 6:29
- r Joh 13:34
- s 1Jo 2:24

sy broer se werke was regverdig.^a

13 Broers, moenie verbaas wees dat die wêreld julle haat nie.^b **14** Ons weet dat ons uit die dood na die lewe oorgegaan het,^c want ons het die broers lief.^d Die een wat nie liefhet nie, bly in die dood.^e **15** Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar,^f en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe het nie.^g **16** Ons het die liefde leer ken omdat hy sy lewe* vir ons gegee het,^h en ons is onder verpligting om ons lewens# vir ons broers te gee.ⁱ **17** Maar as iemand genoeg materiële besittings het om van te lewe en sien dat sy broer gebrek ly en tog weier om medelye* aan hom te betoon, hoe kan die liefde vir God dan in hom bly?^j **18** Kindertjies, ons moet liefhê, nie met woorde of met die tong nie,^k maar met dade^l en in waarheid.^m

19 So sal ons weet dat ons ons oorsprong by die waarheid het. Ons sal ons hart voor hom gerusstel* **20** in alles waarin ons hart ons veroordeel, want God is groter as ons hart en weet alles.ⁿ **21** Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid van spraak teenoor God,^o **22** en wat ons ook al vra, ontvang ons van hom^p omdat ons sy gebooië gehoorsaam en doen wat goed is in sy oë. **23** Ja, sy gebod is dat ons geloof in die naam van sy Seun Jesus Christus moet hê^q en mekaar moet liefhê,^r net soos hy ons beveel het. **24** Wat meer is, die een wat sy gebooië gehoorsaam, bly in eenheid met hom, en hy in eenheid met so iemand.^s En

3:16 *Of "siel". #Of "siele". **3:17** *Sien Woordelys. **3:19** *Of "oortuig".

deur die gees wat hy ons gegee het, weet ons dat hy in eenheid met ons bly.^a

4 Geliefdes, moenie elke geïnspireerde stelling* glo nie,^b maar toets die geïnspireerde stellings[#] om te sien of hulle oorsprong by God het,^c want baie valse profete het in die wêreld verskyn.^d

2 Dit is hoe julle weet dat die geïnspireerde stelling van God kom: Elke geïnspireerde stelling wat erkenning gee aan die feit dat Jesus Christus as 'n mens van vlees gekom het, het sy oorsprong by God.^e **3** Maar elke geïnspireerde stelling wat nie erkenning gee aan Jesus nie, het nie sy oorsprong by God nie.^f Wat meer is, julle het gehoor dat hierdie geïnspireerde stelling sou kom,^g en dit kom van die antichris en is nou reeds in die wêreld.^h

4 Julle het julle oorsprong by God, kindertjies, en julle het daardie persone oorwin,ⁱ want die een wat in eenheid met julle is,^j is groter as die een wat in eenheid met die wêreld is.^k **5** Hulle het hulle oorsprong by die wêreld,^l en daarom sê hulle dinge wat uit die wêreld kom, en die wêreld luister na hulle.^m **6** Ons het ons oorsprong by God. Die een wat God leer ken, luister na ons.ⁿ Die een wat nie sy oorsprong by God het nie, luister nie na ons nie.^o Dit is hoe ons onderskei tussen die geïnspireerde stelling wat waar is en die geïnspireerde stelling wat vals is.^p

7 Geliefdes, laat ons aanhou om mekaar lief te hê,^q want die liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.^r **8** Die een wat nie

4:1 *Lett. "elke gees". #Lett. "die geeste".

HFST. 3

a Joh 14:23

HFST. 4

b 2Te 2:1, 2

1Ti 4:1

c Op 22:6

d 2Pe 2:1

e Joh 1:14

1Kor 12:3

Op 19:10

f 1Jo 2:22

g 2Te 2:7

1Jo 2:18

h Han 20:29, 30

i 1Jo 5:4

j Joh 17:21

k Ef 2:2

l 1Jo 5:19

m Joh 15:19

n Joh 10:27

o Joh 8:47

p 1Jo 4:1

q 1Pe 1:22

r 1Jo 4:16

Tweede kol.

a Eks 34:6

Mi 7:18

1Jo 4:19

b Joh 1:14

c Joh 3:16

Ro 5:8

Ro 8:32

1Jo 5:11

d 1Kor 5:7

e Ro 3:25

Heb 2:17

Heb 9:26

1Jo 2:1, 2

f Mt 18:33

Joh 15:12

Ro 13:8

1Jo 3:16

g Eks 33:20

Joh 1:18

Joh 4:24

Joh 6:46

h 1Jo 2:5

i Mt 1:21

Joh 3:17

Joh 12:47

Han 5:31

j Ro 10:9

k 1Jo 2:23, 24

l Joh 3:16

m 1Jo 4:8

n Joh 17:21

o Heb 4:16

1Jo 2:28

p Ro 8:15

liefhet nie, het God nie leer ken nie, want God is liefde.^a **9** Dit is hoe die liefde van God in ons geval geopenbaar is: God het sy eniggebore Seun*^b in die wêreld uitgestuur sodat ons deur hom die lewe kan verkry.^c **10** Hierdie liefde beteken die volgende: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat hy ons liefgehad het en dat hy sy Seun gestuur het as 'n versoeningsoffer^d vir ons sondes.^e

11 Geliefdes, as dit is hoe God ons liefgehad het, dan is ons ook onder verpligting om mekaar lief te hê.^f **12** Niemand het God nog ooit gesien nie.^g As ons aanhou om mekaar lief te hê, bly God in ons en word sy liefde in ons tot volmaaktheid gebring.^h **13** Ons weet dat ons in eenheid met hom is en hy in eenheid met ons, want hy het ons sy gees gegee. **14** Wat meer is, ons het self gesien en getuig dat die Vader sy Seun as redder van die wêreld gestuur het.ⁱ **15** As iemand erken dat Jesus Christus die Seun van God is,^j bly God in eenheid met hom en hy in eenheid met God.^k **16** En ons het die liefde wat God vir ons het, leer ken, en ons glo daarin.^l

God is liefde,^m en die een wat in die liefde bly, bly in eenheid met God, en God bly in eenheid met hom.ⁿ **17** Dit is hoe die liefde in ons tot volmaaktheid gebring is, sodat ons op die oordeelsdag vrymoedigheid van spraak* kan hê,^o want net soos hy is, so is ons ook in hierdie wêreld. **18** Daar is geen vrees in die liefde nie.^p Volmaakte liefde dryf vrees uit, want vrees hou ons terug. Ja,

4:9 *Of "die enigste Seun wat direk deur God gemaak is". 4:17 *Of "vertroue".

die een wat vrees, is nie tot volmaaktheid gebring in die liefde nie.^a **19** Ons het lief omdat hy ons eerste liefgehad het.^b

20 As iemand sê: "Ek het God lief," maar sy broer haat, is hy 'n leuenaar.^c Want as iemand nie lief is vir sy broer,^d wat hy gesien het nie, kan hy nie lief wees vir God, wat hy nie gesien het nie.^e **21** En ons het hierdie gebod van hom, dat die een wat God liefhet, ook sy broer moet liefhê.^f

5 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore,^g en elkeen wat die Vader liefhet, het die een lief wat uit hom gebore is. **2** Wanneer ons God liefhet en sy gebooië nalkom, weet ons dat ons die kinders van God^h liefhet. **3** Want die liefde vir God beteken dat ons sy gebooië gehoorsaam.ⁱ En tog is sy gebooië nie swaar nie,^j **4** want elkeen* wat uit God gebore is, oorwin die wêreld.^k En dit is hoe ons die wêreld oorwin het: deur ons geloof.^l

5 Wie kan die wêreld oorwin?^m Is dit nie die een wat glo dat Jesus die Seun van God is nie?ⁿ **6** Hy is die een wat deur middel van water en bloed gekom het, Jesus Christus - nie met die water alleen nie,^o maar met die water en met die bloed.^p En die gees getuig,^q want die gees is die waarheid. **7** Daar is drie wat getuig: **8** die gees^r en die water^s en die bloed,^t en die getuienis van hierdie drie stem ooreen.

9 As ons die getuienis van mense aanvaar, is God se getuienis groter. Want dit is die getuienis van God, naamlik die getuienis wat hy oor sy Seun gegee het. **10** Wie sy geloof in die Seun van God stel, het die

5:4 * Lett. "alles".

HFST. 4

- a 1Jo 2:5
- b 1Jo 4:10
- c 1Jo 2:4
- d 1Jo 3:17
- e 1Jo 4:12
- f Mt 22:37, 39
- Joh 13:34
- Joh 15:12

HFST. 5

- g Joh 3:3
- 1Pe 1:3, 23
- 1Jo 3:9
- h Joh 1:12, 13
- Ro 8:14
- i Joh 14:23
- j De 30:11
- Mi 6:8
- k Joh 16:33
- 1Jo 5:18
- l Ef 6:16
- 2Ti 4:7
- Op 12:10, 11
- m 1Jo 4:4
- n Joh 20:31
- o Mt 3:13
- p Han 20:28
- Ef 1:7
- 1Pe 1:19
- q Mt 3:16
- Joh 1:32, 33
- r Lu 3:22
- Lu 4:18
- s Lu 3:21
- t Heb 9:14

Tweede kol.

- a Joh 3:33
- b Joh 17:3
- c Joh 5:26
- d Joh 3:36
- e 1Jo 1:2
- f Joh 20:31
- g Heb 4:16
- 1Jo 3:21
- h Spr 15:29
- i Lu 11:13
- Joh 14:13
- j Jak 5:15
- 1Jo 1:9
- k Mt 12:31
- Mr 3:29
- Lu 12:10
- Heb 6:4-6
- Heb 10:26
- l 1Jo 3:4
- m Joh 17:15

getuienis in homself. Wie nie geloof in God het nie, het God 'n leuenaar gemaak,^a omdat hy nie sy geloof gestel het in die getuienis wat God oor sy Seun gegee het nie. **11** En dit is die getuienis: God het ons die ewige lewe gegee,^b en hierdie lewe is in sy Seun.^c **12** Die een wat die Seun het, het hierdie lewe. Die een wat nie die Seun van God het nie, het nie hierdie lewe nie.^d

13 Ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het,^e julle wat julle geloof in die naam van die Seun van God stel.^f

14 En ons het die vertrouwe*^g dat hy ons hoor,^h ongeag wat ons volgens sy wil vra. **15** En as ons weet dat hy ons hoor in alles wat ons ook al vra, weet ons dat ons die dinge gaan kry wat ons vra, omdat ons dit van hom gevra het.ⁱ

16 As iemand sien dat sy broer 'n sonde pleeg wat nie tot die dood lei nie, sal hy vra, en God sal hom die lewe gee.^j Dit geld vir iemand wat nie sonde pleeg wat tot die dood lei nie. Maar daar is 'n sonde wat wel tot die dood lei.^k Ek sê nie dat hy moet bid vir iemand wat daardie sonde pleeg nie. **17** Alle onregverdigheid is sonde,^l en tog is daar 'n sonde wat nie tot die dood lei nie.

18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sonde beoefen nie, maar die een wat uit God gebore is,^m beskerm hom, en die Duiwelⁿ kan niks aan hom doen nie.^o **19** Ons weet dat ons aan God behoort, maar

5:14 *Of "vrymoedigheid van spraak".

5:18 *D.w.s. Jesus Christus, die Seun van God. ⁿLett. "die Bose". ^oOf "kry geen houvas op hom nie".

die hele wêreld is in die mag van die Duiwel.*^a **20** Maar ons weet dat die Seun van God gekom het,^b en hy het ons insig*

5:19 *Lett. "die Bose". **5:20** *Lett. "verstandelike waarnemingsvermoëns; intellektuele vermoëns".

HFST. 5

a Mt 13:19
Lu 4:6
Joh 12:31
b 1Ti 3:16

Tweede kol.

a Joh 17:20, 21
b Joh 17:3
c 1Kor 10:14

gegee sodat ons die kennis van die ware God kan verkry. En ons is in eenheid met die ware God,^a deur middel van sy Seun Jesus Christus. Dit is die ware God en die ewige lewe.^b **21** Kindertjies, bly weg van afgode.^c

DIE TWEDE BRIEF VAN JOHANNES

O O R S I G

Groete (1-3)

Lewe volgens die waarheid (4-6)

Pasop vir bedrieërs (7-11)

Moet hulle nie groet nie (10, 11)

Planne vir 'n besoek en groete (12, 13)

1 Ek, die ouer man,* skryf aan die dame wat uitgekies is en aan haar kinders. Ek het julle werklik lief – nie net ek nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het – **2** as gevolg van die waarheid wat in ons bly en vir ewig by ons sal wees. **3** Onverdiende goedheid, genade en vrede wat kom van God, die Vader, en van Jesus Christus, die Seun van die Vader, sal met ons wees, met waarheid en liefde.

4 Ek is baie bly omdat ek van jou kinders gevind het wat die weg van die waarheid volg,^a net soos die Vader ons beveel het. **5** Daarom vra ek jou nou, dame, dat ons mekaar moet liefhê. (Ek skryf nie aan jou 'n nuwe gebod nie, maar een wat ons van die begin af gehad het.)^b **6** En dit is wat die liefde beteken,

1 *Of "die ouerman". Sien Woordelys.

a 2Kor 4:2
3Jo 3

b Joh 13:34
Joh 15:12
1Pe 4:8
1Jo 2:7

Tweede kol.

a Joh 14:21
1Jo 2:5

b Mt 7:15
Han 20:29, 30
2Te 2:3, 7
2Pe 2:1
Op 2:2

c 1Jo 4:2

d 1Jo 2:18, 22
1Jo 4:3
Jud 4

e Heb 10:35

f Joh 14:6
Joh 15:6
3Jo 9

g Heb 3:14
1Jo 2:23

dat ons aanhou om volgens sy gebooi te lewe.^a Dit is die gebod, net soos julle van die begin af gehoor het, dat julle moet aanhou om daarvolgens te lewe. **7** Want baie bedrieërs het in die wêreld verskyn,^b dié wat nie erken dat Jesus Christus as 'n mens in die vlees gekom het nie.^c Dit is die bedrieër en die antichris.^d

8 Pasop dat julle nie die dinge verloor waarvoor ons gewerk het nie, sodat julle 'n volle beloning kan verkry.^e **9** Elkeen wat verder gaan as die leringe van die Christus en nie daarby bly nie, is nie in eenheid met God nie.^f Maar die een wat by hierdie leringe bly, is die een wat in eenheid met die Vader sowel as die Seun is.^g **10** As iemand na julle toe kom en nie hierdie leringe bring nie, moet julle hom nie

in julle huise ontvang^a of hom groet nie. **11** Want wie hom groet, het 'n deel aan sy goddelose werke.

12 Al het ek baie om aan julle te skryf, wil ek dit nie met papier en ink doen nie. Ek hoop

a De 17:2-5
Ro 16:17
1Kor 5:11

om na julle toe te kom en persoonlik met julle te praat, sodat julle kan oorloop van vreugde.

13 Die kinders van jou suster, die een wat uitgekies is, stuur vir jou groete.

DIE DERDE BRIEF VAN

JOHANNES

OORSIG

Groete en gebed (1-4)
Gajus word geprys (5-8)
Ambisieuse Diotrefes (9, 10)

Positiewe kommentare oor Demetrius (11, 12)
Planne vir 'n besoek en groete (13, 14)

1 Ek, die ouer man,* skryf aan Gajus, die geliefde, vir wie ek regtig lief is.

2 Geliefde, ek bid dat dit in alles met jou goed mag bly gaan en dat jy sal aanhou om goeie gesondheid te geniet, net soos dit nou goed gaan met jou. **3** Want ek was baie bly toe party broers kom vertel het dat jy getrou bly in die waarheid, dat jy voortgaan om volgens die weg van die waarheid te lewe.^a

4 Niks gee my groter vreugde* as wanneer ek hoor dat my kinders voortgaan om die weg van die waarheid te volg nie.^b

5 Geliefde, jy wys jou getrouheid in wat jy vir die broers doen, al ken jy hulle nie.^c **6** Hulle het in die gemeente getuig van jou liefde. Wanneer hulle vertrek, moet jy hulle asseblief help op 'n manier wat God

1 *Of "die ouerman". Sien Woordelys.
4 *Of moontlik "groter rede vir dankbaarheid".

a 2Jo 4

b 1Kor 4:15
2Ti 1:2
Tit 1:4
Flm 10

c Heb 13:2

Tweede kol.

a Tit 3:13

b 1Kor 9:11, 12

c Mt 10:41
Flm 22
1Pe 4:9

d Ro 12:13

e Han 20:29, 30

f Ro 12:10
Flp 2:3
Heb 13:17

g Ps 101:5
Spr 6:16, 19

h Han 15:25, 27
Ef 6:21
Flp 2:19
Kol 4:7
Tit 1:5

se hart sal bly maak.^a **7** Want dit was ter wille van sy naam dat hulle uitgegaan het, sonder dat hulle enigiets van die mense van die nasies ver wag het.^b

8 Ons is dus verplig om gasvry te wees teenoor sulke mense,^c sodat ons medewerkers in die waarheid kan word.^d

9 Ek het iets aan die gemeente geskryf, maar Dio'trefes, wat graag die belangrikste in die gemeente wil wees,^e aanvaar niks van ons met respek nie.^f **10** Daarom sal ek, as ek kom, sy werke aan die lig bring. Hy versprei skadelike stories* oor ons,^g en asof dit nie genoeg is nie, weier hy om die broers met respek te verwelkom,^h en hy probeer om dié wat dit wil doen, te keer en uit die gemeente te gooi.

11 Geliefde, moenie wat sleg is navolg nie, maar volg die

10 *Lett. "klets met goddelose woorde".

goeie na.^a Die een wat doen wat goed is, het sy oorsprong by God.^b Die een wat doen wat sleg is, het God nie gesien nie.^c **12** Almal praat goed van Demetrius, ook die waarheid self getuig daarvan. Om die waarheid te sê, ons praat ook goed van hom, en jy weet dat die dinge wat ons sê, waar is.

a Ro 12:9
1Pe 3:11

b 1Jo 3:9

c 1Jo 3:6,10

13 Ek het baie dinge gehad om aan jou te skryf, maar ek wil nie verder met pen en ink aan jou skryf nie. **14** Ek hoop om jou binnekort te sien, en dan sal ons persoonlik praat.

Mag jy vrede hê.

Die vriende stuur vir jou groete. Stuur my groete aan die vriende by naam.

DIE BRIEF VAN JUDAS

O O R S I G

Groete (1, 2)
Valse onderrigters sal geoordeel word (3-16)
Migaël stry met die Duiwel (9)

Henog se profesie (14, 15)
Bly in God se liefde (17-23)
Eer aan God (24, 25)

1 Van Judas, 'n slaaf van Jesus Christus, maar 'n broer van Jakobus.^a Aan dié wat geroep is^b en vir wie God, die Vader, lief is en wat vir Jesus Christus bewaar word:^c

2 Mag genade en vrede en liefde oorvloedig aan julle gegee word.

3 Geliefdes, al het ek alles in my vermoë gedoen om aan julle te skryf oor die redding wat ons in gemeen het,^d het ek dit nodig gevind om aan julle te skryf om julle aan te spoor om hard te stry vir die geloof^e wat eens en vir altyd aan die heiliges oorgedra is. **4** My rede hiervoor is dat sekere mense wat lank gelede deur die Skrif tot hierdie oordeel bestem is, onder julle ingeglip het. Hulle is goddelose mense wat die onverdien-

a Mt 13:55
Mr 6:3
Ga 2:9
Jak 1:1

b Heb 3:1

c Joh 17:15
1Pe 1:5

d Heb 2:3

e Ef 6:11
1Ti 1:18, 19
1Ti 6:12

Tweede kol.

a Ga 5:19

b Han 20:29, 30
2Pe 2:1

c Eks 12:41

d Nu 14:35
1Kor 10:1, 5
Heb 3:16, 19

e Ge 6:1-4
1Pe 3:19, 20

f Lu 8:30, 31
2Pe 2:4
Op 20:1, 2

de goedheid van ons God in 'n verskoning vir skaamtelose gedrag^{*a} verander. Hulle is ontrou aan ons enigste eienaar[#] en Here, Jesus Christus.^b

5 Al is julle deeglik bewus van al hierdie dinge, wil ek julle daaraan herinner dat Jehovah* 'n volk uit Egipte gered het,^c maar dat hy daarna dié vernietig het wat nie geloof getoon het nie.^d **6** En die engele wat nie hulle oorspronklike posisie behou het nie, maar hulle eie woonplek verlaat het,^e het hy met ewige boeie in digte duisternis vir die oordeel van die groot dag bewaar.^f **7** Net so het Sodom en Gomor'ra en die stede om hulle hulle aan

4 * Grieks: *a-sel'gei-a*. Sien Woordelys.
[#] Of "meester". **5** * Sien Aanh. A5.

growsse seksuele onsedelikheid* oorgegee en onnatuurlike vleeslike begeertes nagejaag.^a Hulle ondergaan die regterlike straf van die ewige vuur en is dus 'n waarskuwende voorbeeld vir ons.^b

8 Ten spyte hiervan gee hierdie mense hulle ook oor aan drome, maak hulle die liggaam* onrein, het hulle geen respek vir gesag nie en praat hulle beledigend van dié wat eer verdien.^c

9 Maar toe Mi'gael,^d die aartsengel,^e met die Duiwel oor Moses se liggaam gestry het,^f het hy dit nie gewaag om met beledigende woorde 'n oordeel oor hom uit te spreek nie,^g maar hy het gesê: "Mag Jehovah* jou bestraf."^h **10** Maar hierdie mense praat beledigend van alles wat hulle eintlik nie verstaan nie.ⁱ En alles wat hulle wel soos verstandelose diere deur instink verstaan,^j is die dinge wat hulle doen en wat tot hulle ondergang lei.

11 Hoe jammer tog, want hulle het die weg van Kain gevolg^k en het sonder om te dink die verkeerde weg van Bileam ingeslaan/ vir 'n beloning, en hulle is net soos Korag^m vernietig vir hulle opstandige praatjies!ⁿ **12** Hulle is die rotse wat by julle liefdesmaaltye^o onder die water weggesteek is, terwyl hulle saam met julle fees hou, herders wat net hulleself voed sonder om skaam te kry.^p Hulle is waterlose wolke wat deur die wind heen en weer gedryf word,^q vrugtelose bome in die laat herfs, wat heeltemal dood* en ontwortel is, **13** woeste golwe van die see wat die skuim van hulle skande laat opspat,^r

7 *Sien Woordelys. **8** *Lett. "vlees". **9, 14** *Sien Aanh. A5. **12** *Lett. "twee keer doodgegaan het".

- a Ge 19:4, 5
Le 18:22
- b Ge 19:24
2Pe 2:6
- c Eks 22:28
2Pe 2:10
3Jo 9, 10
- d Da 10:21
Da 12:1
- e 1Te 4:16
- f De 34:5, 6
- g 2Pe 2:11
- h Sag 3:2
- i Jud 19
- j 2Pe 2:12
- k Ge 4:5, 8
1Jo 3:12
- l Nu 22:32
2Pe 2:15, 16
Op 2:14
- m Nu 16:3, 32
- n 1Ti 1:20
- o 2Pe 2:13
- p Ese 34:8
- q 2Pe 2:17
- r Jes 57:20

Tweede kol.

- a Heb 6:4-6
Op 21:8
- b Ge 5:21, 22
- c De 33:2
Da 7:10
Sag 14:5
- d 2Te 1:6
- e Mt 12:36
- f 1Kor 10:10
Flp 2:14
- g 2Pe 2:18
- h Jak 2:9
- i Han 20:29, 30
1Ti 4:1
2Pe 2:1
2Pe 3:2, 3
- j Ro 16:17
3Jo 9, 10
- k Ro 8:26
Ef 6:18
- l Joh 15:10
Ro 8:38, 39
- m Tit 3:7
1Jo 1:2
1Jo 2:25
- n Mt 5:7
Mt 9:13
Jak 2:13
- o Jak 1:6
- p Ga 6:1
- q Jak 5:19, 20
Ga 5:19-21

sterre met geen vaste baan nie, vir wie die diepste duisternis vir ewig bewaar word.^a

14 Ja, die sewende persoon van Adam af, Henog,^b het ook oor hulle geprofeteer toe hy gesê het: "Kyk! Jehovah* het met sy heilige tienduisende gekom^c **15** om almal te oordeel en te straf^d en om al die goddeloses skuldig te bevind aan al hulle goddelose dae wat hulle op 'n goddelose manier gedoen het en aan al die skokkende dinge wat goddelose sondaars teen hom gesê het."^e

16 Hierdie mense sug en klap^f oor hulle lewenslot. Hulle volg hulle eie begeertes^g en praat groot met hulle mond terwyl hulle ander vlei* om hulleself te bevoordeel.^h

17 Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat vantevore deur die apostels van ons Here Jesus Christus gesê* is, **18** hoe hulle altyd vir julle gesê het: "In die laaste tyd sal daar spotters wees wat hulle eie goddelose begeertes volg."ⁱ **19** Dit is hulle wat verdedtheid veroorsaak,^j dierlike* mense sonder geestelikheid.^k **20** Maar julle, geliefdes, moet julle op julle allerheiligste geloof opbou en met heilige gees bid^k **21** sodat julle in God se liefde kan bly,^l terwyl julle wag op die genade van ons Here Jesus Christus, met die ewige lewe in die vooruitsig.^m **22** Hou ook aan om genade te betoonⁿ aan party wat twyfel.^o **23** Red hulle^p deur hulle uit die vuur te ruk. Hou aan om genade aan ander te betoon, en doen dit met vrees, terwyl julle selfs die kleed haat wat deur die vlees bevlek is.^q

16 *Of "persoonlikhede bewonder". **17** *Of "voorspel". **19** *Lett. "vleeslike". *Lett. "die gees".

24 En aan hom wat kan voorkom dat julle struikel en wat julle met groot vreugde onbesmet^a in sy glorieryke teenwoordigheid*

24 *Of "voor sy heerlikheid".

^a Ro 8:33
Ef 1:4
Kol 1:22

kan laat staan, 25 die enigste God, ons Redder deur Jesus Christus ons Here, aan hom behoort die eer, majesteit, mag en gesag van alle ewigheid af, nou en tot in alle ewigheid. Amen.

'N OPENBARING

AAN JOHANNES

O O R S I G

- | | |
|---|--|
| <p>1 'n Openbaring van God, deur Jesus (1-3)
Groete aan die sewe gemeentes (4-8)
"Ek is die Alfa en die Omega" (8)
Johannes deur inspirasie in die dag van die Here (9-11)
Visioen van verheerlikte Jesus (12-20)</p> <p>2 Boodskappe aan Efese (1-7), Smirna (8-11), Pergamum (12-17), Tiatira (18-29)</p> <p>3 Boodskappe aan Sardis (1-6), Filadelfia (7-13), Laodisea (14-22)</p> <p>4 Visioen van Jehovah in die hemel (1-11)
Jehovah sit op sy troon (2)
Die 24 ouderlinge op trone (4)
Die vier lewende wesens (6)</p> <p>5 'n Boekrol met sewe seëls (1-5)
Die Lam neem die boekrol (6-8)
Die Lam waardig om die seëls oop te maak (9-14)</p> <p>6 Die Lam maak eerste ses seëls oop (1-17)
Oorwinnaar op wit perd (1, 2)
Ruiter op vuurkleurige perd neem vrede weg (3, 4)
Ruiter op swart perd bring hongersnood (5, 6)
Ruiter op vaal perd het die naam Dood (7, 8)
Dié wat doodgemaak is, onder die altaar (9-11)
'n Groot aardbewing (12-17)</p> | <p>7 Vier engele hou vernietigende winde terug (1-3)
Die 144 000 verseël (4-8)
Groot menigte in wit klere (9-17)</p> <p>8 Sewende seël oopgemaak (1-6)
Op eerste vier trompette geblaas (7-12)
Drie vreeslike gebeurtenisse aangekondig (13)</p> <p>9 Die vyfde trompet (1-11)
Een vreeslike gebeurtenis is verby, nog twee kom (12)
Die sesde trompet (13-21)</p> <p>10 Sterk engel met klein boekrol (1-7)
"Daar sal nie meer uitstel wees nie" (6)
Heilige geheim tot 'n einde gebring (7)
Johannes eet die klein boekrol (8-11)</p> <p>11 Die twee getuies (1-13)
Profeteer 1 260 dae in saklinne (3)
Doodgemaak en nie begrawe nie (7-10)
Ná drie en 'n half dae lewend gemaak (11, 12)
Tweede vreeslike gebeurtenis is verby, derde kom (14)
Die sewende trompet (15-19)
Koninkryk van ons Here en van sy Christus (15)
Vernietigers van die aarde sal vernietig word (18)</p> |
|---|--|

- | | |
|--|---|
| <p>12 Vrou, manlike kind en draak (1-6)
Migael veg teen draak (7-12)
Draak na die aarde neergegooi (9)
Duiwel weet dat hy min tyd het (12)
Draak vervolg die vrou (13-17)</p> <p>13 Wilde dier met sewe koppe kom uit die see (1-10)
Dier met twee horings kom uit die aarde (11-13)
Beeld van dier met sewe koppe (14, 15)
Merk en getal van wilde dier (16-18)</p> <p>14 Die Lam en die 144 000 (1-5)
Boodskappe van drie engele (6-12)
Engel in die middel van die hemel met goeie nuus (6, 7)
Gelukkig is dié wat in eenheid met Christus sterf (13)
Twee oeste van die aarde (14-20)</p> <p>15 Sewe engele met sewe plae (1-8)
Lied van Moses en van die Lam (3, 4)</p> <p>16 Sewe bakke van God se woede (1-21)
Uitgegooi op aarde (2), see (3), riviere en fonteine (4-7), son (8, 9), troon van wilde dier (10, 11), Eufraat (12-16) en lug (17-21)
God se oorlog by Armageddon (14, 16)</p> <p>17 Oordeel van “Babilon die Grote” (1-18)
Groot prostituut sit op helderrooi dier (1-3)
Die dier ‘was, is nie, maar sal uit die afgrond opkom’ (8)</p> | <p>Tien horings sal teen die Lam veg (12-14)
Tien horings sal die prostituut haat (16, 17)</p> <p>18 Val van “Babilon die Grote” (1-8)
“Gaan uit haar uit, my volk” (4)
Getreue oor Babilon se val (9-19)
Vreugde in die hemel oor Babilon se val (20)
Babilon sal neergegooi word, soos ‘n klip in die see (21-24)</p> <p>19 Loof Jah vir sy oordele (1-10)
Huwelik van die Lam (7-9)
Ruiter op wit perd (11-16)
Groot aandmaal van God (17, 18)
Wilde dier word oorwin (19-21)</p> <p>20 Satan 1 000 jaar gebind (1-3)
Dié wat 1 000 jaar saam met Christus regeer (4-6)
Satan vrygelaat en dan vernietig (7-10)
Dooies word voor die wit troon geoordeel (11-15)</p> <p>21 Nuwe hemel en nuwe aarde (1-8)
Geen dood meer nie (4)
Alles word nuut gemaak (5)
Nuwe Jerusalem word beskryf (9-27)</p> <p>22 Rivier van water van die lewe (1-5)
Slot (6-21)
‘Kom! Drink verniet van die water van die lewe’ (17)
“Kom, Here Jesus” (20)</p> |
|--|---|

1 'n Openbaring* deur Jesus Christus, wat God hom gegee het,^a om vir sy slawe die dinge te wys^b wat binnekort moet plaasvind. En hy het sy engel gestuur en dit deur hom in tekens aan sy slaaf Johannes^c oorgedra. **2** Johannes het getuig van die woord wat God gegee het en van die getuënis wat Jesus Christus gegee

1:1 *Of “n Onthulling”.

HFST. 1

- a Da 2:28
b Am 3:7
Op 7:3, 4
c Mt 10:2
Mr 1:19
Joh 21:20

Tweede kol.

- a Ps 1:2
Lu 11:28
Joh 13:17
Jak 1:22
b Op 1:11
c Op 1:8
Op 4:8
Op 11:17

het, ja, van alles wat hy gesien het. **3** Gelukkig is die een wat die woorde van hierdie profesie hardop lees en dié wat dit hoor en wat gehoorsaam is aan die dinge wat daarin geskryf is,^a want die vasgestelde tyd is naby.

4 Van Johannes. Aan die sewe gemeentes^b wat in die provinsie Asië is:

Mag julle onverdiende goedheid en vrede hê van “die Een wat is en wat was en wat kom”,^c

en van die sewe geeste^a wat voor sy troon is, **5** en van Jesus Christus, “die Getroue Getuie”,^b “die eersgeborene uit die dood”^c en “die Heersere van die konings van die aarde”.^d

Aan hom wat ons liefhet^e en wat ons deur middel van sy eie bloed van ons sondes bevry het^f – **6** en hy het ons ’n koninkryk gemaak,^g priesters^h vir sy God en Vader – ja, aan hom behoort die eer en die mag tot in ewigheid. Amen.

7 Kyk! Hy kom met die wolke,ⁱ en elke oog sal hom sien, ook dié wat hom met ’n spies deurboor het. En al die stamme van die aarde sal treur* as gevolg van hom.^j Ja, Amen.

8 “Ek is die Alfa en die Ome’ga,”^{**} sê Jehovah[#] God, “die Een wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.”[!]

9 Ek, Johannes, is julle broer en iemand wat die koninkryk^m met julle deel en ook moeilike tye deurmaakⁿ en volhard^o as ’n volgeling van Jesus.^p Ek was op die eiland Patmos omdat ek oor God gepraat en van Jesus getuig het. **10** Deur middel van die heilige gees het ek my bevind in die dag van die Here, en ek het ’n sterk stem agter my gehoor, so hard soos ’n trompet, **11** wat gesê het: “Skryf wat jy sien in ’n boekrol en stuur dit aan die sewe gemeentes: in Efe’se,^q in Smirna,^r in Per’gamum,^s in Tiati’ra,^t in Sardis,^u in Filadel’fia^v en in Laodise’a.”^w

12 Ek het omgedraai om te sien wie met my praat, en toe ek omdraai, het ek sewe goue lampstaanders^x gesien, **13** en tussen die lampstaanders iemand soos ’n seun van die mens.^y Hy

1:7 *Of “hulleself in droefheid slaan”.
1:8 *Of “die A en die Z”. Alfa en Omega is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet. [#]Sien Aanh. A5.

HFST. 1

- a Op 4:5
b Op 3:14
c Kol 1:18
d Ps 89:27
1Ti 6:15
Op 19:16
e Joh 15:9
f Heb 9:14
1Pe 1:18, 19
1Jo 1:7
g Eks 19:6
Lu 22:28-30
h 1Pe 2:5
Op 5:9, 10
Op 20:6
i Mt 26:64
Mr 13:26
j Mt 24:30
k Jes 48:12
Op 21:6
Op 22:13
l Eks 6:3
m Lu 12:32
n Mt 24:9
o Mt 10:22
2Ti 2:12
p Ro 8:17
q Ef 1:1
Op 2:1
r Op 2:8
s Op 2:12
t Op 2:18
u Op 3:1
v Op 3:7
w Op 3:14
x Op 1:20
y Da 7:13

Tweede kol.

- a Op 19:12
b Op 2:18
c Op 1:20
d Jes 49:2
e Mt 17:1, 2
f Han 26:23
Kol 1:18
Op 1:5
g Op 2:8
h 1Kor 15:45
i 1Pe 3:18
j Ro 6:9
1Ti 6:16
k Mt 16:18
Joh 6:54
Joh 11:25
l Mt 5:16
Flp 2:15

HFST. 2

- m Op 1:20
n Han 19:1
Ef 1:1
o Op 1:12, 13
p Han 20:29, 30
2Kor 11:13
1Jo 4:1

het ’n klee gedra wat tot op sy voete hang en het ’n goue band om sy bors gehad. **14** Verder was sy kop en sy hare wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë was soos ’n vuurvlam,^a **15** en sy voete was soos suiwer koper^b wanneer dit in ’n oond gloei, en sy stem was soos die geluid van baie waters. **16** En in sy regterhand het hy sewe sterre^c gehad, en ’n skerp, lang, tweesnydende swaard^d het uit sy mond gekom, en sy gesig was soos die son wanneer dit op sy helderste is.^e **17** Toe ek hom sien, het ek soos ’n dooie mens voor sy voete neergeval.

En hy het sy regterhand op my gesit en gesê: “Moenie bang wees nie. Ek is die Eerste^f en die Laaste,^g **18** en die lewendige,^h en ek het doodgegaan,ⁱ maar kyk! ek lewe vir ewig en altyd,^j en ek het die sleutels van die dood en van die Graf.^{**} **19** Skryf dan die dinge neer wat jy gesien het, en die dinge wat is en die dinge wat hierna sal plaasvind. **20** Die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het en die sewe goue lampstaanders is ’n heilige geheim, en dit is wat dit beteken: Die sewe sterre beteken die engele van die sewe gemeentes, en die sewe lampstaanders beteken sewe gemeentes.[!]

2 “Skryf aan die engel^m van die gemeente in Efe’senⁿ Hierdie dinge sê hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, hy wat tussen die sewe goue lampstaanders^o loop: **2** ‘Ek ken jou dade en jou harde werk en jou volharding. Ek weet dat jy slegte mense nie kan verdra nie en dat jy dié getoets het wat sê dat hulle apostels^p is maar eintlik nie is nie, en jy het gevind dat hulle

1:18 *Of “Hades”. Sien Woordelys.

leuenaars is. **3** Jy volhard, en jy het ter wille van my naam^a uitgehou en nie moeg geword nie.^b

4 Maar ek het dit teen jou: Jy het die liefde verloor wat jy eers gehad het.

5 “Onthou dan waarvandaan jy geval het en toon berou^c en doen wat jy voorheen gedoen het. Anders sal ek na jou toe kom en jou lampstaander^d van sy plek verwyder, tensy jy berou toon.^e **6** Maar dít tel in jou guns: Jy haat die dade van die sekte van Nikola’us,^f en ek haat dit ook. **7** Laat die een wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê:^g Ek sal die een wat oorwin,^h toelaat om van die boom van die lewe te eet,ⁱ wat in die paradys van God is.’

8 “En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Hierdie dinge sê hy, ‘die Eerste en die Laaste’,^j wat doodgegaan het en weer lewend geword het.^k

9 ‘Ek weet dat jy swaarkry en arm is, maar jy is ryk.^l Ek weet van die lastering deur dié wat sê dat hulle Jode is en eintlik nie is nie, maar hulle is ’n sinagoge van Satan.^m **10** Moe-nie bang wees vir die dinge wat jy binnekort gaan ly nie.ⁿ Kyk! Die Duiwel sal aanhou om party van julle in die tronk te gooi sodat julle ten volle getoets kan word, en julle sal tien dae lank ly. Bewys dat jy getrou is, selfs tot die dood toe, en ek sal jou die kroon van die lewe gee.^o **11** Laat die een wat ore het, hoor^p wat die gees vir die gemeentes sê: Die een wat oorwin,^q sal glad nie die tweede dood ondervind nie.’^r

12 “Skryf aan die engel van die gemeente in Per’gamum: Hierdie dinge sê hy wat die skerp, lang, tweesnydende swaard het:^s **13** ‘Ek weet waar jy woon, daar waar die troon

HFST. 2

- a 1Pe 4:14
- b Ga 6:9
- c Op 3:19
- d Op 1:20
- e Op 2:16
- f 1Kor 11:19
- Op 2:15
- g Mt 11:15
- Op 2:17, 29
- h 1Jo 5:4
- i Ro 2:6, 7
- Op 2:10
- j Op 1:13, 17
- k Ro 14:9
- l 2Kor 6:4, 10
- 1Ti 6:18, 19
- Jak 2:5
- m Op 3:9
- n Mt 10:28
- o Ro 2:6, 7
- 2Ti 4:7, 8
- Jak 1:12
- Op 20:4
- p Op 13:9
- q 1Jo 5:5
- r Op 20:6
- Op 20:14
- Op 21:8
- s Op 1:13, 16
- Op 19:15

Tweede kol.

- a Mr 13:9
- Op 2:3
- b Lu 12:8
- 1Jo 2:23
- c Han 1:8
- d Mt 24:9
- e Nu 31:16
- 2Pe 2:15
- Jud 11
- f Nu 22:4
- g Nu 25:1, 2
- Han 15:28, 29
- Ef 5:5
- h 2Pe 2:1
- Op 2:6
- i Op 1:13, 16
- j Op 2:7
- k 1Jo 5:5
- Op 3:12
- l Eks 16:15, 31
- Ps 78:24
- Heb 9:4
- m Han 16:14
- n Op 19:12
- o Op 1:13-15
- p 1Kn 16:31
- 2Kn 9:22
- q 1Kor 5:11
- Ga 5:19
- Ef 5:5

van Satan is, en tog hou jy vas aan my naam,^a en jy het jou geloof in my behou,^b selfs in die tyd van An’tipas, my getroue getuie^c wat daar by julle doodgemaak is,^d daar waar Satan woon.

14 “Maar ek het ’n paar dinge teen jou: Daar is party by jou wat vashou aan die leringe van Bi’leam,^e wat vir Balak^f geleer het om ’n struikelblok voor die Israeliete te lê, om afgodsoffers te eet en om seksuele onsedelikheid* te pleeg.^g **15** Net so is daar ook by jou dié wat vashou aan die leringe van die sekte van Nikola’us.^h **16** Toon dan berou. As jy dit nie doen nie, kom ek gou na jou toe, en ek sal met die lang swaard van my mond teen hulle oorlog voer.ⁱ

17 “Laat die een wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê:^j Aan die een wat oorwin,^k sal ek van die weggesteekte manna^l gee, en ek sal hom ’n wit klippie gee, en op die klippie is ’n nuwe naam geskryf wat niemand ken nie, behalwe die een wat dit ontvang.’

18 “Skryf aan die engel van die gemeente in Tiati’ra:^m Hierdie dinge sê die Seun van God, die een wat oë het soos ’n vuurvlamⁿ en wie se voete soos suiwelkoper is:^o **19** ‘Ek ken jou dade en jou liefde en geloof en bediening en volharding en weet dat jou dade in die laaste tyd meer is as dié wat jy vroeër gedoen het.

20 “Maar ek het dít teen jou: Jy doen niks omtrent daardie vrou Ise’bel^p nie. Sy noem haarself ’n profetes, en sy leer en mislei my slawe om seksuele onsedelikheid*^q te pleeg en om afgodsoffers te eet. **21** En ek het haar tyd gegee om berou te

2:14, 20 *Sien Woordelys.

toon, maar sy wil nie berou toon oor haar seksuele onsedelikeit* nie. **22** Kyk! Ek staan op die punt om haar siek te maak en om groot swaarkry te bring oor dié wat met haar egbreuk pleeg, tensy hulle berou toon oor wat sy gedoen het. **23** En ek sal haar kinders met dodelike plaë doodmaak, sodat al die gemeentes sal weet dat dit ek is wat die diepste gedagtes* en harte deursoek, en ek sal aan elkeen van julle gee volgens wat julle gedoen het.^a

24 “Ek sê egter vir die res van julle wat in Tiatira is, almal wat nie hierdie lering volg nie, dié wat nie die sogenaamde “diep dinge van Satan”^b leer ken het nie: Ek lê geen ander las op julle nie. **25** Hou net vas aan wat julle het totdat ek kom.^c **26** En aan die een wat oorwin en my dade tot die einde toe navolg, sal ek gesag oor die nasies gee,^d **27** net soos ek gesag van my Vader ontvang het. Hierdie persoon sal met ’n ysterstaf as herder teenoor die mense optree^e en hulle soos kleivoorwerpe in stukke breek. **28** En ek sal hom die môrester^f gee. **29** Laat die een wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê.’

3 “Skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Hierdie dinge sê hy wat die sewe geeste van God^g en die sewe sterre^h het: ‘Ek ken jou dade, dat jy die reputasie* het dat jy lewend is, maar jy is dood.ⁱ **2** Bly wakker,^j en versterk die oorblywende dinge wat op die punt was om te sterf, want ek het gevind dat jou werke nie ten volle voor my God gedoen is nie. **3** Onthou

2:21 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelyst. 2:23 *Of “diepste emosies”. Lett. “niere”. 3:1 *Lett. “naam”.

HFST. 2

- a Op 22:12
- b Joh 8:44
- c Op 3:11
- d Ps 2:8, 9
Mt 19:28
Lu 22:28-30
Op 3:21
Op 20:4
- e Op 12:5
Op 19:15
- f Op 22:16

HFST. 3

- g Op 1:4
Op 4:5
- h Op 1:13, 16
- i Jak 2:26
- j Lu 21:34
Ef 5:15
1Te 5:6

Tweede kol.

- a 2Kor 7:11
- b Op 16:15
- c Mt 24:42
Lu 12:37, 39
- d Jak 1:27
- e Op 6:11
- f 1Jo 5:4
- g Op 4:4
Op 19:8
- h Flp 4:3
- i Lu 12:8
- j Joh 6:69
Heb 7:26
- k Op 3:14
Op 19:11
- l Jes 22:22
Lu 1:32
- m 1Kor 16:9
2Kor 2:12
- n Ro 2:28
Op 2:9
- o Lu 8:15
Lu 21:19
2Ti 2:12
Heb 10:36
Heb 12:3

p 2Te 3:3

q Op 2:16

r Jak 1:12

Op 2:10

dan wat jy ontvang het en wat jy gehoor het, en hou aan om dit te bewaar, en toon berou.^a Ja, as jy nie wakker word nie, sal ek soos ’n dief kom,^b en jy sal glad nie weet in watter uur ek op jou sal afkom nie.^c

4 “Maar jy het ’n paar persone* in Sardis wat nie hulle klere onrein gemaak het nie,^d en hulle sal in wit klere saam met my loop^e omdat hulle dit waardig is. **5** Die een wat oorwin,^f sal dus wit klere dra,^g en ek sal sy naam glad nie uit die boek van die lewe^h uitwis nie, maar ek sal voor my Vader en voor sy engele sê dat ek sy naam ken.ⁱ **6** Laat die een wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê.’

7 “Skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Hierdie dinge sê hy wat heilig is,^j wat waar is,^k wat die sleutel van Dawid het,^l wat oopmaak sodat niemand sal sluit nie, en sluit sodat niemand oopmaak nie: **8** ‘Ek ken jou dade – kyk! ek het ’n deur voor jou oopgemaak,^m wat niemand kan sluit nie. En ek weet dat jy ’n bietjie krag het, en jy het my woord bewaar en was getrou aan my naam. **9** Kyk! Daar is dié uit die sinagoge van Satan, wat sê dat hulle Jode is, en tog is hulle nieⁿ – hulle lieg. Ek sal hulle laat kom en voor jou voete laat neerbuig* en hulle laat weet dat ek jou liefgehad het. **10** Omdat jy die woord oor my volharding bewaar het,^o sal ek jou ook bewaar in die uur wanneer ek die hele aarde gaan ondersoek^p om dié wat daarop woon, te toets. **11** Ek kom gou.^q Hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou kroon wegneem nie.^r

3:4 *Lett. “’n paar name”. 3:9 *Of “laat eer bewys”. 3:10 *Of moontlik “die voorbeeld van my volharding gevolg het”.

12 “Ek sal die een wat oorwin, ’n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal beslissig nie meer daar uitgaan nie. Ek sal die naam van my God op hom skryf^a en die naam van die stad van my God, die Nuwe Jerusalem,^b wat uit die hemel van my God af neerdaal, en my eie nuwe naam.^c **13** Laat die een wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê.’

14 “Skryf aan die engel van die gemeente in Laodise^{a,d}: Hierdie dinge sê die Amen,^e die getroue en ware^f getuie,^g die begin van die skepping deur God:^h **15** ‘Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie. Ek wens jy was koud of anders warm. **16** Omdat jy dan nou lou is en nie warmⁱ of koud^j nie, gaan ek jou uit my mond spoeg. **17** Jy sê: “Ek is ryk^k en het rykdom verkry en het niks nodig nie,” maar jy weet nie dat jy bejammer moet word en dat jy arm en blind en kaal is nie. **18** Daarom raai ek jou aan om by my goud te koop wat deur vuur gesuiwer^{*} is, sodat jy ryk kan word, sowel as wit klere, sodat jy jou kan aantrek en nie skaam hoef te voel omdat ander jou kaal liggaam sien nie,^l en ook oogsalf om in jou oë te smeer,^m sodat jy kan sien.ⁿ

19 “Almal vir wie ek lief is, wys ek tereg en dissipleneer ek.^o Wees dus ywerig en toon berou.^p **20** Kyk! Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal ek in sy huis inkom en die aandmaal saam met hom eet, en hy saam met my. **21** Die een wat oorwin,^q sal ek toelaat om saam met my op my troon te sit,^r net soos ek oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.^s **22** Laat die een

3:18 *Of “gelouter”.

HFST. 3

- a Op 22:3, 4
- b Heb 12:22
Op 21:2
- c Op 14:1
Op 19:12
- d Kol 4:16
- e 2Kor 1:20
- f Joh 1:14
Op 19:11
- g Joh 18:37
1Ti 6:13
Op 1:5
- h Spr 8:22
Kol 1:15
- i 2Kor 9:2
- j Spr 25:13
- k Ho 12:8
- l Op 16:15
- m Ps 19:8
- n 1Ti 6:17-19
- o Spr 3:12
- p Op 2:5
Op 3:3
- q 1Jo 5:4
Op 12:11
- r Mt 19:28
Lu 22:28-30
Op 2:26
- s Heb 10:12

Tweede kol.

HFST. 4

- a 1Kn 22:19
Jes 6:1
Ese 1:26, 27
Da 7:9
Han 7:55
- b Op 21:10, 11
- c 1Jo 1:5
- d Op 4:10
Op 5:8
Op 11:16
Op 19:4
- e Ese 1:13
- f Eks 19:16
- g Op 1:4
Op 5:6
- h Eks 30:18
1Kn 7:23
- i Ese 1:5-10
- j Spr 28:1
Jes 31:4
- k Job 39:9-11
Op 6:3
- l Op 6:5
- m Op 6:7
- n Job 39:27, 29
Ese 1:10
- o Ese 10:9, 12

wat ore het, hoor wat die gees vir die gemeentes sê.”

4 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk! ’n oop deur in die hemel, en die eerste stem wat ek gehoor het, was so hard soos ’n trompet en het vir my gesê: “Kom op hierheen, en ek sal vir jou die dinge wys wat moet gebeur.” **2** Daarna het ek onmiddellik onder die krag van die gees gekom, en kyk! ’n troon het in die hemel gestaan, en iemand het op die troon gesit.^a **3** Die voorkoms van die Een wat daarop sit, was soos jaspis^b en sardius,^{*} en reg rondom die troon was ’n reënboog wat soos smarag gelyk het.^c

4 Reg rondom die troon was daar 24 trone, en op hierdie trone het ek 24 ouderlinge^d sien sit, wat wit klere aangehad het en goue krone op hulle koppe gehad het. **5** Daar het weerligstrale^e en stemme en donderslae^f van die troon af gekom, en voor die troon het daar sewe vuurlampe gebrand, wat die sewe geeste van God beteken.^g **6** Voor die troon was daar iets wat gelyk het soos ’n see van glas,^h soos kristal.

In die middel van* die troon en rondom die troon was daar vier lewende wesensⁱ wat aan die voorkant en agterkant vol oë was. **7** Die eerste lewende wese was soos ’n leeu,^j die tweede lewende wese soos ’n jong bul.^k Die derde lewende wese^l het ’n gesig soos dié van ’n mens gehad, en die vierde lewende wese^m was soos ’n vlieënde arend.ⁿ **8** En die vier lewende wesens het elkeen ses vlerke gehad. Die vierke was reg rondom en aan die onderkant vol oë.^o En dag en nag sê hulle aanhoudend: “Heilig, heilig, heilig is

4:3 *Of “’n rooikleurige edelsteen”.

4:6 *Of “by”.

Jehovah^{*a} God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom.”^b

9 Elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en dank gee aan die Een wat op die troon sit, die Een wat vir ewig en altyd lewe,^c **10** val die 24 ouderlinge^d neer voor die Een wat op die troon sit en aanbid hulle die Een wat vir ewig en altyd lewe. Dan gooi hulle hulle krone voor die troon en sê: **11** “U is waardig, Jehovah* ons God, om die heerlijkheid^e en die eer^f en die krag^g te ontvang, want u het alles geskep,^h en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskep.”

5 En in die regterhand van die Een wat op die troon sit,ⁱ het ek 'n boekrol gesien waarop daar aan albei kante* geskryf is, en dit was goed verseël met sewe seëls. **2** En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: “Wie is waardig om die boekrol oop te maak en sy seëls te breek?” **3** Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boekrol oopmaak of dit lees nie. **4** Ek het baie gehuil omdat niemand waardig was om die boekrol oop te maak of dit te lees nie. **5** Maar een van die ouderlinge het vir my gesê: “Hou op huil. Kyk! Die Leeu uit die stam van Juda,^j die wortel^k van Dawid,^l het oorwin,^m en hy kan die boekrol en sy sewe seëls oopmaak.”

6 En ek het in die middel van die troon en van die vier lewende wesens en in die middel van die ouderlingeⁿ 'n lam^o sien staan wat gelyk het asof hy geslag is,^p met sewe horings en sewe oë, en die oë beteken die sewe geeste van God^q wat

HFST. 4

- a Jes 6:2, 3
- b Op 1:4
- c Ps 90:2
- Da 12:7
- d Op 5:8
- e Mt 5:16
- Op 14:7
- f Op 19:10
- g Op 5:13
- Op 7:12
- Op 11:17
- Op 12:10
- h Op 10:6

HFST. 5

- i Op 4:2, 3
- j Ge 49:9, 10
- Heb 7:14
- k Jes 11:1, 10
- Ro 15:12
- l 2Sa 7:8, 12
- Op 22:16
- m Joh 16:33
- n Ef 1:22
- o Jes 53:7
- Joh 1:29
- 1Pe 1:19
- p Joh 19:30
- Op 5:12
- q Op 1:4

Tweede kol.

- a Ps 47:8
- Jes 6:1
- b Op 5:14
- Op 19:4
- c Ps 141:2
- Op 8:4
- d Ps 33:3
- Ps 144:9
- Jes 42:10
- Op 14:3
- e Op 14:4
- f Mt 26:27, 28
- 1Kor 6:20
- Heb 9:12
- 1Pe 1:18, 19
- g Lu 12:32
- Lu 22:28-30
- h Eks 19:6
- 1Pe 2:9
- Op 1:5, 6
- i Mt 19:28
- Op 20:4, 6
- Op 22:5
- j Da 7:9, 10
- k Jes 53:7
- Op 5:6
- l Mt 28:18
- m Flp 2:9, 10
- n Op 4:2, 3
- o Joh 1:29
- Op 7:17
- p Joh 5:23
- 1Ti 6:16
- q 1Pe 4:11

HFST. 6

- r Op 5:6
- s Op 5:5
- t Op 4:7

oor die hele aarde uitgestuur is. **7** Hy het onmiddellik vorentoe gekom en dit uit die regterhand geneem van die Een wat op die troon sit.^a **8** Toe hy die boekrol neem, het die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge^b voor die Lam neergeval, en elkeen van hulle het 'n harp en goue bakke vol reukwerk gehad. (Die reukwerk beteken die gebede van die heiliges.)^c **9** En hulle sing 'n nuwe lied^d en sê: “U is waardig om die boekrol te neem en sy seëls oop te maak, want u is geslag, en met u bloed het u mense uit elke stam en taal en volk en nasie^e vir God gekoop,^f **10** en u het hulle 'n koninkryk^g en priesters vir ons God gemaak,^h en hulle sal as konings oor die aarde regeer.”ⁱ

11 En ek het gesien, en ek het 'n stem van baie engelle rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge gehoor, en hulle getal was tienduiseende maal tienduiseende en duisende maal duisende.^j **12** Hulle het met 'n harde stem gesê: “Die Lam wat geslag is,^k is waardig om die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid te ontvang en om geloof te word.”^l

13 En ek het elke wese in die hemel en op die aarde en onder die aarde^m en op die see, en alles wat in hulle is, hoor sê: “Mag die Een wat op die troon sitⁿ en die Lam^o geloof word, en mag hulle vir ewig en altyd die eer^p en die heerlijkheid en die mag ontvang.”^q **14** Die vier lewende wesens het gesê: “Amen!” en die ouderlinge het neergeval en aanbid.

6 En ek het gesien toe die Lam^r een van die sewe seëls oopmaak,^s en ek het een van die vier lewende wesens^t met 'n stem so hard soos 'n donderslag

4:8, 11 *Sien Aanb. A5. 5:1 *Let. “aan die binnekant en aan die agterkant”.

hoor sê: "Kom!" **2** En ek het gekyk en 'n wit perd gesien,^a en die een wat daarop sit, het 'n boog gehad, en 'n kroon is vir hom gegee,^b en hy het uitgegaan om te oorwin en om sy oorwinning te voltooi.^c

3 Toe hy die tweede seël oopmaak, het ek die tweede lewende wese^d hoor sê: "Kom!"

4 'n Ander een het verskyn, 'n vuurkleurige perd, en die een wat daarop sit, het gesag ontvang om vrede van die aarde weg te neem sodat hulle mekaar sou doodmaak, en 'n groot swaard is vir hom gegee.^e

5 Toe hy die derde seël oopmaak,^f het ek die derde lewende wese^g hoor sê: "Kom!" En ek het gekyk en 'n swart perd gesien, en die een wat daarop sit, het 'n weegskaal in sy hand gehad. **6** Ek het iets tussen die vier lewende wesens gehoor wat soos 'n stem geklink het, en dit het gesê: "'n Liter* koring vir 'n denarius,^h en drie liter gars vir 'n denarius, en moenie die olyfolie en die wyn beskadig nie."ⁱ

7 Toe hy die vierde seël oopmaak, het ek die stem van die vierde lewende wese^j hoor sê: "Kom!" **8** En ek het gekyk en 'n vaal perd gesien, en die een wat daarop sit, het die naam Dood gehad. En die Graf* het hom gevolg en was reg agter hom. En hulle het gesag oor die vierde deel van die aarde ontvang, om dood te maak met 'n lang swaard en voedseltekorte^k en dodelike plae en die wilde diere van die aarde.^l

9 Toe hy die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar^m

6:6 *Lett. "Goiniks". Sien Aanb. B14. ⁿ'n Romeinse silwermuntstuk wat gelyk was aan 'n dag se loon. Sien Aanb. B14. 6:8 *Of "Hades". Sien Woordelys.

HFST. 6

a Op 19:11

b Op 14:14

c Ps 45:4
Ps 110:1, 2
Op 12:7
Op 17:14

d Op 4:7

e Mt 24:7
Lu 21:10

f Op 5:5

g Op 4:7

h Mt 20:2

i Mr 13:8

j Op 4:7

k Lu 21:11

l Jer 15:2, 3
Ese 14:21

m Le 4:7
Op 8:3

Tweede kol.

a Le 17:11

b Mt 24:9, 14
Joh 18:37
Op 17:6
Op 20:4

c 1Jo 5:20

d De 32:43
Lu 18:7
Op 19:1, 2

e Op 3:5

f Mt 24:9
Han 9:1
2Kor 1:8

g Jl 2:31
Mt 24:29

h Jes 34:4

i Op 16:20

j Jes 2:10, 19

k Ho 10:8
Lu 23:30

l Op 4:2, 3

m Op 5:6

n Sef 1:14, 18
Ro 2:5

o Jl 2:11

die siele^{*a} gesien van dié wat doodgemaak is weens die woord van God en weens die getuienis wat hulle gegee het.^b **10** Hulle het met 'n harde stem uitgeroep: "Hoe lank sal dit nog neem, Soewereine Heer, heilig en waar,^c voordat u dié wat op die aarde woon, oordeel en wraak neem vir ons bloed?"^d **11** En 'n wit kleed is vir elkeen van hulle gegee,^e en daar is vir hulle gesê om nog 'n klein rukkie te rus, totdat die getal van hulle medeslawe en hulle broers wat binnekort net soos hulle doodgemaak gaan word, volledig is.^f

12 En ek het gesien toe hy die sesde seël oopmaak, en daar was 'n groot aardbewing, en die son het swart geword soos saklinne wat van hare* gemaak is, en die hele maan het soos bloed geword,^g **13** en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos wanneer 'n sterk wind die groen vye van 'n vyeboom laat afval. **14** En die hemel het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word,^h en elke berg en elke eiland is uit sy plek verwyder.ⁱ **15** Toe het die konings van die aarde, die hoë amptenare, die militêre bevelvoerders, die rykes, die sterkes, elke slaaf en elke vry persoon tussen die grotte en die rotse van die berge gaan wegkruip.^j **16** En hulle hou aan om vir die berge en vir die rotse te sê: "Val op ons^k en bedek ons sodat ons beskerm sal wees teen die Een wat op die troon sit' en teen die woede van die Lam,^m **17** want die groot dag van hulle woede het gekom,ⁿ en wie kan staan?"^o

6:9 *Blykbaar hulle lewensbloed wat by die altaar uitgegooi is. Sien Woordelys. 6:12 *Waarskynlik bokhaar.

7 Hierna het ek op die vier hoeke van die aarde vier engele sien staan, wat die vier winde van die aarde styf vashou, sodat geen wind op die aarde of op die see of teen enige boom kon waai nie. **2** En ek het 'n ander engel van die sonsopkoms* af sien opkom, met 'n seël van die lewende God. Hy het met 'n harde stem geroep na die vier engele wat die gesag ontvang het om die aarde en die see te beskuldig **3** en gesê: "Moenie die aarde of die see of die bome beskuldig totdat ons die slawe van ons God op hulle voorkoppe verseël het nie."^a

4 En ek het gehoor hoeveel verseël is: 144 000.^b Hulle is verseël uit elke stam van Israel.^c

5 Uit die stam van Juda was daar 12 000 wat verseël is, uit die stam van Ruben 12 000,

uit die stam van Gad 12 000,

6 uit die stam van Aser 12 000,

uit die stam van Naf'tali 12 000,

uit die stam van Manas'se^d 12 000,

7 uit die stam van Si'meon 12 000,

uit die stam van Levi 12 000,

uit die stam van Is'saskar 12 000,

8 uit die stam van Se'bulon 12 000,

uit die stam van Josef 12 000,

en uit die stam van Benjamin was daar 12 000 wat verseël is.

9 Daarna het ek gekyk en 'n groot menigte gesien, wat geen mens kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale,^e wat voor die troon en voor die Lam staan. Hulle het wit klere^f aangehad en daar was palmtak-

HFST. 7

a 2Kor 1:22

Ef 1:13

Ef 4:30

Op 9:4

b Op 14:1, 3

c Ro 2:29

Ro 9:6

Ga 6:16

Op 21:12

d Ge 41:51

e Jes 2:2

Op 15:4

f Op 7:14

Tweede kol.

a Le 23:40

Joh 12:13

b Op 4:2, 3

c Han 4:12

Op 5:6

d Op 4:4

Op 11:16

e Op 4:11

f Op 7:9

g Mt 24:21

Mr 13:19

h Joh 1:29

Heb 9:14

1Jo 1:7

Op 1:5

i Op 4:2

j Ps 15:1

Op 21:3

k Ps 121:6

Jes 49:10

l Op 5:6

m Joh 10:11

n Op 22:1

o Jes 25:8

Op 21:4

HFST. 8

p Op 6:1

q Op 5:1

r Op 15:1

s Eks 30:1, 3

ke in hulle hande.^a **10** En hulle hou aan om met 'n harde stem uit te roep: "Redding het ons te danke aan ons God, wat op die troon sit,^b en aan die Lam."^c

11 Al die engele het rondom die troon en die ouderlinge^d en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het met hulle gesigte na die grond toe voor die troon neergeval en God aanbid **12** en gesê: "Amen! Aan ons God behoort die seën en die heerlikheid en die wysheid en die dank en die eer en die krag en die sterkte vir ewig en altyd.^e Amen."

13 Toe het een van die ouderlinge vir my gevra: "Wie is dié wat die wit klere^f dra en waar het hulle vandaan gekom?"

14 Toe het ek dadelik vir hom gesê: "My heer, u weet." En hy het vir my gesê: "Dit is hulle wat uit die groot verdrukking^g kom, en hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.^h **15** Daarom is hulle voor die troon van God, en hulle verrig dag en nag heilige diens aan hom in sy tempel, en die Een wat op die troon sit,ⁱ sal sy tent oor hulle uitsprei.^j

16 Hulle sal nie meer honger of dors wees nie, en die son of enige verskroeiende hitte sal hulle ook nie brand nie.^k **17** Want die Lam,^l wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees^m en sal hulle na fonteine van waters van die lewe lei.ⁿ En God sal elke traan van hulle oë afvee."^o

8 Toe hy^p die sewende seël oopmaak,^q was daar stilte in die hemel, omtrent 'n halfuur lank. **2** En ek het die sewe engele gesien^r wat voor God staan, en sewe trompette is vir hulle gegee.

3 'n Ander engel het daar aangekom en by die altaar^s gaan

7:2 *Of "ooste".

staan met 'n goue reukwerkhouer.^a 'n Groot hoeveelheid reukwerk is vir hom gegee om saam met die gebede van al die heiliges op die goue altaar^b te offer wat voor die troon was. **4** Die rook van die reukwerk het saam met die gebede^c van die heiliges uit die hand van die engel voor God opgegaan. **5** Maar die engel het dadelik die reukwerkhouer geneem, en hy het van die vuur van die altaar daarin gesit en dit na die aarde gegooi. En daar was donderslae en stemme en weerligstrale^d en 'n aardbewing. **6** En die sewe engelle met die sewe trompette^e het hulle gereedgemaak om daarop te blaas.

7 Die eerste engel het op sy trompet geblaas. En daar was hael en vuur gemeng met bloed, en dit is na die aarde gegooi,^f en 'n derde van die aarde is verbrand, en 'n derde van die bome is verbrand, en al die groen plantegroei is verbrand.^g

8 Die tweede engel het op sy trompet geblaas. En iets soos 'n groot berg wat met vuur brand, is in die see gegooi.^h En 'n derde van die see het bloed geword,ⁱ **9** en 'n derde van die lewende wesens in die see het doodgegaan,^j en 'n derde van die skepe het vergaan.

10 Die derde engel het op sy trompet geblaas. En 'n groot ster wat soos 'n lamp brand, het uit die hemel geval, en dit het op 'n derde van die riviere en op die fonteine geval.^k **11** Die naam van die ster is Als. En 'n derde van die waters het in als* verander, en baie van die mense het van die water gesterf, want dit is bitter gemaak.^l

12 Die vierde engel het op sy trompet geblaas. En 'n derde

8:3 *Of "reukwerkbrander". 8:11 *n Soort bitter plant.

HFST. 8

a Op 5:8

b Op 9:13

c Ps 141:2
Lu 1:10d Eks 19:16
Op 4:5e Op 8:7,8
Op 8:10,12
Op 9:1,13
Op 11:15

f Op 16:2

g Eks 9:23-25
Ps 97:3,5h Jes 17:12,13
Jes 57:20

i Eks 7:20

j Op 16:1,3

k Op 16:1,4

l Am 5:7

Tweede kol.

a Op 16:1,8

b Eks 10:22

c Op 9:12
Op 11:14

d Op 8:2

HFST. 9

e Op 8:2

f Lu 8:30,31
Op 9:11
Op 20:1-3

g Jl 2:2,10

h Eks 10:12

i Op 7:2,3

j Op 9:10

van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref,^a en 'n derde van hulle is verduister^b sodat 'n derde van die dag en ook van die nag geen lig gehad het nie.

13 En ek het 'n arend in die middel van die hemel sien vlieg, en ek het gehoor hoe hy met 'n harde stem sê: "Hoe vreeslik, hoe vreeslik, hoe vreeslik^c vir dié wat op die aarde woon, weens die res van die trompetseine van die drie engele wat op die punt staan om op hulle trompette te blaas!"^d

9 Die vyfde engel het op sy trompet geblaas.^e En ek het 'n ster gesien wat uit die hemel op die aarde geval het, en die sleutel van die skag* van die afgrond^f is vir hom gegee. **2** Hy het die skag van die afgrond oopgemaak, en rook het daaruit opgegaan soos die rook van 'n groot oond, en die son en die lug het donker geword as gevolg van die rook.^g **3** En sprinkane het uit die rook op die aarde verskyn,^h en gesag is aan hulle gegee, dieselfde gesag as wat die skerpioene van die aarde het. **4** Daar is vir hulle gesê om nie die plantegroei van die aarde of enige groen plant of enige boom te beskuldig nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie.ⁱ

5 Die sprinkane is nie toegelaat om hulle dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig, en hulle pyn was soos wanneer 'n skerpioen/^j 'n mens steek. **6** En in daardie dae sal mense die dood soek, maar hulle sal dit glad nie vind nie, en hulle sal graag wil sterf, maar die dood sal van hulle af wegvlug.

9:1 *Of "put".

7 Die sprinkane het gelyk soos perde wat gereedgemaak is vir oorlog,^a en op hulle koppe was iets wat soos goue krone gelyk het, en hulle gesigte was soos dié van mense, **8** maar hulle hare was soos dié van vrouens. En hulle tande was soos dié van leeus,^b **9** en hulle het borsplate soos ysterborsplate gehad. En die geluid van hulle vlerke was soos die geluid van strydwaens met perde wat in 'n geveg in jaag.^c **10** Hulle het ook sterte en angels soos skerpioene, en hulle krag om die mense vyf maande lank seer te maak, is in hulle sterte.^d **11** Hulle het 'n koning oor hulle, die engel van die afgrond.^e In Hebreeus is sy naam Abad'don,^f maar in Grieks het hy die naam Apollion.^g

12 Die een vreeslike gebeurtenis is verby. Kyk! Nog twee kom ná hierdie dinge.

13 Die sesde engel^h het op sy trompet geblaas.ⁱ En ek het een stem gehoor wat van die horings van die goue altaar^j wat voor God is, gekom het. **14** Dit het vir die sesde engel, wat die trompet gehad het, gesê: "Maak die vier engele los wat by die groot rivier, die Eufraatrivier, vasgebind is." **15** En die vier engele, wat gereedgemaak is vir die uur en dag en maand en jaar, is losgemaak om 'n derde van die mense dood te maak.

16 Die aantal perderuiters van die leërmagte was 2 maal 10 000 maal 10 000.^k Ek het gehoor hoeveel daar was. **17** En so het die perde en dié wat op hulle sit, in die visioen vir my gelyk: Hulle het borsplate gehad wat rooi soos vuur was, blou

9:11 *Betekens "vernietiging". #Betekens "vernietiger". **9:16** *Of "20 000 maal 10 000", gelyk aan 200 000 000.

HFST. 9

a Jl 2:4, 5

b Jl 1:6

c Jl 2:4, 5

d Op 9:5

e Op 9:1
Op 20:1-3

f Op 8:13

g Op 8:6

h Op 11:15

i Op 8:3

j Op 16:1, 12
Op 17:1, 15

Tweede kol.

a Spr 28:1

b Ps 115:4-7

HFST. 10

c Mt 17:1, 2

d Op 5:5

e Eks 19:16
Op 4:5
Op 11:19

f Op 10:8

soos hiasint en geel soos swael. Die koppe van die perde was soos dié van leeus,^a en vuur en rook en swael het by hulle bekke uitgekom. **18** 'n Derde van die mense is deur hierdie drie plaes doodgemaak, deur die vuur en die rook en die swael wat by hulle bekke uitgekom het. **19** Want die krag van die perde is in hulle bekke en in hulle sterte, want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan.

20 Maar die res van die mense wat nie deur hierdie plaes doodgemaak is nie, het nie berou gehad oor die werke van hulle hande nie. Hulle het nie opgehou om die demone te aanbid nie, en ook nie die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout, wat nie kan sien of hoor of loop nie.^b **21** Hulle het nie berou gehad oor hulle moorde of hulle spiritistiese gebruike of hulle seksuele onsedelikeit^c of hulle diefstal nie.

10 En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, met 'n wolk soos 'n kleed om hom, en daar was 'n reënboog op sy kop, en sy gesig was soos die son,^c en sy bene^d was soos pilare van vuur. **2** Hy het 'n klein geopende boekrol in sy hand gehad. Hy het sy regtervoet op die see gesit, maar sy linkervoet op die aarde, **3** en hy het met 'n harde stem uitgeroep net soos wanneer 'n leeu brul.^d En toe hy uitroep, het die stemme van die sewe donderslae^e gepraat.

4 En toe die sewe donderslae praat, het ek op die punt gestaan om te skryf, maar ek het 'n stem uit die hemel^f hoor sê: "Verseël wat die sewe

9:21 *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. **10:1** *Lett. "voete".

donderslae gesê het, en moet dit nie neerskryf nie.” **5** Die engel wat ek op die see en op die aarde sien staan het, het sy regterhand na die hemel opgelig, **6** en hy het gesweer by die Een wat vir ewig en altyd lewe,^a wat die hemel en die dinge daarin en die aarde en die dinge daarin en die see en die dinge daarin geskep het:^b “Daar sal nie meer uitstel wees nie. **7** Maar in die dae wanneer die sewende engel^c op die punt staan om op sy trompet te blaas,^d word die heilige geheim^e beslis tot ’n einde gebring. Hierdie heilige geheim is die goeie nuus wat God aan sy eie slawe, die profete,^f bekend gemaak het.”

8 En die stem wat ek uit die hemel gehoor het,^g het weer met my gepraat en gesê: “Gaan, neem die geopende boekrol wat in die hand is van die engel wat op die see en op die aarde staan.”^h **9** Ek het na die engel toe gegaan en vir hom gesê om die klein boekrol vir my te gee. Hy het vir my gesê: “Neem dit en eet dit op,ⁱ en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees, soos heuning.” **10** Ek het die klein boekrol uit die engel se hand geneem en dit geëet,^j en in my mond was dit soet soos heuning,^k maar toe ek dit geëet het, het dit my maag bitter gemaak. **11** En hulle het vir my gesê: “Jy moet weer oor volke en nasies en tale en baie konings profeteer.”

11 En ’n riet wat soos ’n stok* gelyk het,^l is vir my gegee terwyl hy gesê het: “Staan op en meet die tempelheilighdom van God en die altaar en dié wat daarin aanbid. **2** Maar jy moet die voorhof wat

11:1 *Of “maatstok”.

HFST. 10

a Ps 90:2
Op 4:9

b Eks 20:11
Ne 9:6
Ps 146:6

c Op 8:6

d Op 11:15

e Mr 4:11

f Am 3:7

g Op 10:4

h Op 10:1, 2

i Ese 2:8

j Jer 15:16

k Ps 119:103
Ese 3:1-3

HFST. 11

l Ese 40:3

Tweede kol.

a Op 21:2

b Op 13:5

c Sag 4:3, 11

d Sag 4:12
Mt 5:14

e Sag 4:14

f Lu 4:25

g 1Kn 17:1
Jak 5:17

h Eks 7:19

i Op 12:17
Op 13:7

j Op 11:11

buitekant die tempelheilighdom is, heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die nasies gegee, en hulle sal die heilige stad^a 42 maande lank^b vertrap. **3** Ek sal my twee getuies 1260 dae in saklinne laat profeteer.” **4** Hulle word deur die twee olyfbome^c en die twee lampstaanders^d gesimboliseer en staan voor die Here van die aarde.^e

5 As enigiemand iets slegs aan hulle wil doen, kom vuur by hulle monde uit en verteer dit hulle vyande. As enigiemand iets slegs aan hulle wil doen, moet hy op hierdie manier doodgemaak word. **6** Hulle het die gesag om die hemel toe te sluit^f sodat geen reën sal val^g gedurende die dae wat hulle profeteer nie, en hulle het gesag oor die waters, om dit in bloed te verander^h en om die aarde met allerhande plaë te tref so dikwels as wat hulle wil.

7 Wanneer hulle hulle getuies klaar gegee het, sal die wilde diër wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak.ⁱ **8** En hulle lyke sal op die hoofstraat van die groot stad lê wat in ’n geestelike sin Sodom en Egipte genoem word, waar hulle Here ook aan die paal gehang is. **9** En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal drie en ’n half dae^j na hulle lyke kyk, en hulle sal nie toelaat dat hulle lyke in ’n graf neergelê word nie. **10** En dié wat op die aarde woon, sal bly wees oor hulle en feesvier, en hulle sal geskenke aan mekaar stuur, want hierdie twee profete het dié wat op die aarde woon, gepynig.

11 Nā die drie en ’n half dae het God die asem* van die

11:11 *Of “gees”.

lewe in hulle geblaas,^a en hulle het op hulle voete gaan staan, en dié wat hulle gesien het, het baie bang geword. **12** En hulle het 'n harde stem uit die hemel vir hulle hoor sê: "Kom op hierheen." En hulle het in die wolk na die hemel opgegaan, en hulle vyande het hulle gesien.* **13** In daardie uur was daar 'n groot aardbewing, en 'n tiende van die stad het geval, en 7 000 mense is deur die aardbewing doodgemaak, en die res het bang geword en die God van die hemel verheerlik.

14 Die tweede vreeslike gebeurtenis^b is verby. Kyk! Die derde een kom gou.

15 Die sewende engel het op sy trompet geblaas.^c En daar was harde stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons Here^d en van sy Christus^e geword, en hy sal vir ewig en altyd as koning regeer."^f

16 En die 24 ouderlinge^g wat voor God op hulle trone gesit het, het met hulle gesigte na die grond toe neergeval en God aanbid **17** en gesê: "Ons dank u, Jehovah* God, die Almagtige, die Een wat is^h en wat was, want u het u groot krag opgeneem en as koning begin regeer.ⁱ **18** Maar die nasies het woedend geword, en u eie woede het gekom. Die vasgestelde tyd het gekom om die dooies te oordeel en om u slawe, die profete,^j en die heiliges en dié wat u naam vrees, klein en groot, te beloon,^k en om die vernietigers van die aarde te vernietig."^l

19 En die tempelheilgdom van God wat in die hemel is, is oopgemaak, en die ark van sy

HFST. 11

- a Ese 37:5, 10
b Op 9:12
c Op 8:6
d 1Kr 29:11
Ps 22:28
Da 4:17, 34
Op 12:10
e Ps 2:6
Da 7:13, 14
Lu 1:32, 33
Lu 22:28, 29
2Pe 1:11
f Ps 145:13
Da 2:44
g Op 4:10
h Op 1:4
Op 16:5
i Ps 99:1
Sag 14:9
Op 19:6
j Am 3:7
Heb 1:1
Jak 5:10
k Heb 11:6
l Ge 6:11

Tweede kol.

- a 1Kn 8:1, 6
Heb 8:1, 2
Heb 9:11

HFST. 12

- b Ge 3:15
c Op 12:9
Op 20:2
d Job 38:7
e Ge 6:2
Jud 6
f Ge 3:15
g Op 11:15
h Ps 2:9
Ps 110:2
Op 19:15
i Op 12:14
j Da 10:13
Da 12:1
Jud 9
k Op 12:3
Op 20:2
l Ge 3:1
2Kor 11:3
Op 12:14

- m Mt 4:1
Joh 8:44
Heb 2:14
Jak 4:7
1Pe 5:8

verbond is in sy tempelheilgdom^a gesien. En daar was weerligstrale en stemme en donderslae en 'n aardbewing en 'n groot haelstorm.

12 Toe is 'n groot teken in die hemel gesien: 'n Vrou^b het die son soos 'n kleed om haar gehad, en die maan was onder haar voete, en op haar kop was 'n kroon van 12 sterre, **2** en sy was swanger. En sy het geskree van die pyn, want sy het geboortepyn gehad.

3 Nog 'n teken is in die hemel gesien. Kyk! 'n Groot vuurkleurige draak^c met sewe koppe en tien horings en op sy koppe sewe krone,* **4** en sy stert sleep 'n derde van die sterre^d van die hemel saam, en hy het hulle na die aarde neergegooi.^e En die draak het voor die vrou bly staan^f wat op die punt gestaan het om geboorte te gee, sodat hy haar kind kon verslind sodra sy geboorte gee.

5 En sy het geboorte gegee aan 'n seun,^g 'n manlike kind, wat met 'n ysterstaf as herder teenoor al die nasies sal optree.^h En haar kind is weggeruk na God en na sy troon. **6** En die vrou het na die wildernis gevlug, waar God vir haar 'n plek voorberei het en waar hulle haar 1 260 dae lankⁱ sou voed.

7 En oorlog het in die hemel uitgebreek: Mi'gael^j en sy engele het teen die draak geveg, en die draak en sy engele het geveg, **8** maar hulle het nie oorwin nie,* en daar was ook nie meer vir hulle plek in die hemel nie. **9** Toe is die groot draak^k neergegooi, die oorspronklike slang,^l die een wat Duiwel^m en

12:3 *Of "koninklike kopbande". **12:7** *Beteken "wie is soos God?" **12:8** *Of moontlik "maar dit [die draak] is oorwin".

11:12 *Of "het toegekyk". 11:17 *Sien Aanh. A5. 11:18 *Of "die verderwers van die aarde te verderf".

Satan^a genoem word, wat die hele aarde mislei.^b Hy is na die aarde neergegooi,^c en sy engele is saam met hom neergegooi. **10** Ek het 'n harde stem in die hemel hoor sê:

“Nou het die redding^d en die krag en die Koninkryk van ons God^e en die gesag van sy Christus gekom, want die beskuldiger van ons broers, wat hulle dag en nag voor ons God beskuldig,^f is neergegooi! **11** En hulle het hom oorwin^g weens die bloed van die Lam^h en weens die woord van hulle getuienis,ⁱ en selfs toe hulle voor die dood te staan gekom het, het hulle nie hulle siele* liefgehad nie.^j **12** Daarom, wees bly, o hemele en julle wat daarin woon! Dit sal sleg gaan met die aarde en die see,^k want die Duiwel het na julle toe neergedaal en is woedend omdat hy weet dat hy min tyd het.”^l

13 En toe die draak sien dat hy na die aarde neergegooi is,^m het hy die vrou vervolgtⁿ wat aan die seun geboorte gegee het. **14** Maar die twee vlerke van die groot arend^o is aan die vrou gegee, sodat sy die wildernis in, na haar plek, kon vlieg, waar sy 'n tyd en tye en 'n halwe tyd*^p gevoed sou word, weg van die gesig van die slang af.^q

15 En die slang het water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, om haar deur die rivier te laat verdrink. **16** Maar die aarde het die vrou gehelp, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier ingesluk wat die draak uit sy bek uitgespoeg het. **17** Toe het die draak woedend geword vir die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen die oorblywendes van haar nage-

12:11 *Of “lewens”. Sien Woordelys. 12:14 *D.w.s. drie en 'n half tye.

HFST. 12

- a 1Kr 21:1
- Job 1:6
- Sag 3:2
- Mt 4:10
- Joh 13:27
- Ro 16:20
- 2Te 2:9
- b 2Kor 4:4
- 2Kor 11:14
- Ef 2:2
- 1Jo 5:19
- c Lu 10:18
- Op 12:13
- d Ro 13:11
- Heb 9:28
- 1Pe 1:5
- e Op 11:15, 17
- f Job 1:9
- Sag 3:1
- g 1Jo 2:14
- h 1Pe 1:18, 19
- i Han 1:8
- 2Ti 1:8
- Op 1:9
- j Mt 16:25
- Lu 14:26
- Han 20:24
- k Jes 57:20
- Jes 60:2
- Op 17:15
- l Mt 24:34
- Ro 16:20
- 2Ti 3:1
- 2Pe 3:3
- m Lu 10:18
- n Ge 3:15
- Op 12:1
- o Eks 19:4
- Jes 40:31
- p Op 12:6
- q Ge 3:1
- 2Kor 11:3

Tweede kol.

- a Ge 3:15
- b Mt 24:9
- Han 1:8
- Op 1:9
- Op 6:9

HFST. 13

- c Op 11:7
- Op 13:18
- d Jes 57:20
- Op 21:1
- e Op 12:9
- f Lu 4:6
- g Op 13:14
- h Op 11:2, 3
- i Da 7:25
- j Op 12:12
- k Op 12:17
- l Op 3:5
- Op 21:27
- m Jes 53:7
- Mt 27:50
- Op 5:6, 12

slag,^{*a} wat die geboorte van God gehoorsaam en die werk het om van Jesus te getuig.^b

13 En hy* het op die sand van die see gaan staan.

En ek het 'n wilde dier^c uit die see sien opkom,^d met tien horings en sewe koppe, en op sy horings tien krone,^e maar op sy koppe lasterlike name. **2** En die wilde dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, maar sy pote was soos dié van 'n beer, en sy bek was soos 'n leeu se bek. En die draak^e het aan die dier sy krag en sy troon en groot gesag gegee.^f

3 Ek het gesien, en dit het gelyk asof een van sy koppe dodelik gewond is, maar sy dodelike wond het gesond geword,^g en die hele aarde het die wilde dier bewonder en hom gevolg.

4 En hulle het die draak aanbid omdat hy die gesag aan die wilde dier gegee het, en hulle het die wilde dier aanbid met die woorde: “Wie is soos die wilde dier, en wie kan teen hom veg?”

5 Hy is 'n mond gegee wat grootpraat en lasterlike dinge sê, en hy is gesag gegee om 42 maande lank op te tree.^h

6 En hy het sy mond oopgemaak en lasterlike dingeⁱ teen God gesê om sy naam en sy woonplek, ja, dié wat in die hemel woon,^j te belaster. **7** En hy is toegelaat om teen die heiliges oorlog te voer en hulle te oorwin,^k en hy is gesag oor elke stam en volk en taal en nasie gegee. **8** En almal wat op die aarde woon, sal hom aanbid. Van die begin van die mensdom* af is nie een van hulle name geskryf in die boekrol van die lewe^l van die Lam wat gesag is nie.^m

12:17 *Lett. “saad”. 13:1 *D.w.s. die draak. ⁿOf “koninklike kopbande”. 13:8 *Of “grondlegging van die wêreld”.

9 As iemand ore het, laat hom hoor.^a 10 As iemand gevange geneem moet word, sal hy in gevangenskap gaan. As iemand met die swaard doodmaak,^{*b} moet hy met die swaard doodgemaak word. Hiervoor het die heiliges^c volharding^d en geloof^e nodig.

11 Toe het ek nog 'n ander wilde dier uit die aarde sien opkom, en hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak begin praat.^f 12 Hy oefen al die gesag van die eerste wilde dier uit,^g en hy doen dit voor sy oë. En hy dwing die aarde en sy inwoners om die eerste wilde dier te aanbid, wie se dodelike wond gesond geword het.^h 13 En hy doen groot tekens en laat selfs vuur uit die hemel na die aarde neerkom voor die oë van mense.

14 Hy mislei dié wat op die aarde woon weens die tekens wat hy toegelaat is om voor die oë van die wilde dier te doen, terwyl hy vir dié wat op die aarde woon, sê om 'n beeld te maakⁱ vir die wilde dier wat die swaardwond gehad het en tog weer lewend geword het.^j 15 En hy is toegelaat om asem^{*} aan die beeld van die wilde dier te gee, sodat die beeld van die wilde dier sou praat en veroorsaak dat almal doodgemaak word wat weier om die beeld van die wilde dier te aanbid.

16 Hy dwing almal - klein en groot, ryk en arm, vry mense en slawe - om op hulle regterhand of op hulle voorkoppe gemerk te word,^k 17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe iemand wat die merk het, die naam^l van die wilde dier of die getal van sy naam.^m

13:10 *Of moontlik "As iemand met die swaard doodgemaak gaan word".
13:15 *Of "gees".

HFST. 13

- a Mt 11:15
- b Mt 26:52
- c Da 7:18
- 1Kor 6:2
- Op 20:6
- d Mt 24:13
- Heb 10:36
- Heb 12:3
- e Op 2:10
- f Op 16:13
- Op 20:2
- g Op 13:1
- h Op 13:3
- i Op 19:20
- Op 20:4
- j Op 13:3
- k Op 14:9,10
- Op 16:2
- Op 19:20
- l Op 14:11
- m Op 15:2

Tweede kol.

- a Da 3:1

HFST. 14

- b Joh 1:29
- Op 5:6
- Op 22:3
- c Ps 2:6
- Heb 12:22
- 1Pe 2:6
- d Op 7:4
- e Op 3:12
- f Ps 33:3
- Ps 98:1
- Ps 149:1
- Op 5:9
- g Op 4:6
- h Op 4:4
- Op 19:4
- i Op 7:4
- j 2Kor 11:2
- Jak 1:27
- Jak 4:4
- k 1Pe 2:21
- l 1Kor 6:20
- 1Kor 7:23
- Op 5:9
- m Jak 1:18
- n Ef 5:25-27
- Jud 24
- o Mt 24:14
- Mr 13:10
- Han 1:8
- p 2Pe 2:9
- q Eks 20:11
- Ps 146:6

18 Hiervoor is wysheid nodig: Laat die een wat insig het, die getal van die wilde dier uitwerk, want dit is 'n mens se getal, en sy getal is 666.^a

14 Toe het ek die Lam^b op die berg Sion sien staan,^c en saam met hom 144 000^d met sy naam en die naam van sy Vader^e op hulle voorkoppe geskryf. 2 Ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van harde donderweer, en die geluid wat ek gehoor het, het geklink soos sangers wat hulleself begelei deur op hulle harpe te speel. 3 En hulle sing iets wat klink soos 'n nuwe lied^f voor die troon en voor die vier lewende wesens^g en die ouderlinge,^h en niemand kon daardie lied leer nie, behalwe die 144 000,ⁱ wat van die aarde gekoop is. 4 Dit is hulle wat hulle nie met vrouens onrein gemaak het nie. Om die waarheid te sê, hulle is maagde.^j Dit is hulle wat die Lam bly volg ongeag waar hy gaan.^k Hulle is uit die mensdom gekoop^l as eerstelinge^{*m} vir God en vir die Lam, 5 en geen leuen is in hulle monde gevind nie. Hulle is onbesmet.ⁿ

6 En ek het 'n ander engel in die middel van die hemel^{*} sien vlieg, en hy het ewige goeie nuus gehad om bekend te maak aan dié wat op die aarde woon, aan elke nasie en stam en taal en volk.^o 7 Hy het met 'n harde stem gesê: "Vrees God en verheerlik hom, want die uur van oordeel deur hom het aangebreek.^p Aanbid dus die Een wat die hemel en die aarde en die see^q en die fonteine gemaak het."

8 'n Ander engel, 'n tweede, het gevolg en gesê: "Sy het

14:4 *Sien Woordelys. 14:6 *Of "in die lug".

geval! Babilon die Grote^a het geval,^b sy wat al die nasies van die wyn van die passie* van haar seksuele onsedelikheid^{#c} laat drink het!”

9 'n Ander engel, 'n derde, het hulle gevolg en met 'n harde stem gesê: “As iemand die wilde dier^d en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand ontvang,^e **10** sal hy ook van die wyn van die woede van God drink wat onverduin in die beker van Sy woede^f ingeskink is. Hy sal voor die heilige engele en voor die Lam met vuur en swael^g gepynig word. **11** En die rook van hulle pyniging gaan vir ewig en altyd op,^h en hulle het dag en nag geen rus nie, dié wat die wilde dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.ⁱ **12** Hiervoor het die heiliges volharding nodig,^j dié wat die geboorte van God gehoorsaam en aan die geloof van Jesus vashou.”^k

13 En ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf: Gelukkig is die dooies wat van nou af in eenheid met die Here sterf.^l Ja, sê die gees, laat hulle van hulle harde werk rus, want die dinge wat hulle gedoen het, gaan saam met hulle.”

14 Toe het ek 'n wit wolk gesien, en op die wolk het iemand soos 'n seun van die mens^m gesit, met 'n goue kroon op sy kop en 'n skerp sekel in sy hand.

15 'n Ander engel het uit die tempelheiligdom uitgekom en met 'n harde stem geroep na die een wat op die wolk sit: “Steek u sekel in en oes, omdat die uur gekom het om te oes, want die oes van die aarde is heeltemal ryp.”ⁿ **16** En die een wat op die

- HFST. 14
 a Op 17:18
 b Jes 21:9
 Op 18:21
 c Jer 51:7, 8
 Op 17:1, 2
 Op 18:2, 3
 d Op 13:1
 e Op 13:15, 16
 f Ps 75:8
 Op 11:18
 Op 16:19
 g Op 21:8
 h Mt 25:46
 2Te 1:9
 Op 19:3
 i Op 13:16-18
 Op 16:2
 Op 20:4
 j Op 13:10
 k Heb 10:38
 l 1Kor 15:51, 52
 1Te 4:16, 17
 m Da 7:13
 n Mt 13:30

Tweede kol.
 a Jl 3:13
 b Op 19:11, 15

- HFST. 15
 c Op 16:1
 d Op 16:17
 e 1Kn 7:23
 Op 4:6
 f Op 13:15
 g Op 13:18
 h Op 2:7
 i Eks 15:1
 De 31:30
 j Joh 1:29
 k Eks 15:11
 Ps 111:2
 Ps 139:14
 l Eks 6:3
 m De 32:4
 Ps 145:17

wolk sit, het sy sekel in die aarde ingestek, en die aarde is geoes.

17 En nog 'n ander engel het uit die tempelheiligdom wat in die hemel is, uitgekom, en hy het ook 'n skerp sekel gehad.

18 En nog 'n ander engel het uit die altaar uitgekom, en hy het gesag oor die vuur gehad. En hy het met 'n harde stem uitgeroep na die een met die skerp sekel en gesê: “Steek jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword.”^a **19** Die engel het sy sekel in die aarde ingestek en die wingerdstok van die aarde geoes, en hy het dit in die groot wynpers van die woede van God gegooi.^b **20** Die wynpers is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die wynpers uitgekom tot by die tooms van die perde, vir 'n afstand van 1600 stadie.*

15 En ek het in die hemel 'n ander teken gesien, groot en wonderlik: sewe engele^c met sewe plaë. Dit is die laastes, want deur middel daarvan word die woede van God tot 'n einde gebring.^d

2 En ek het iets gesien wat gelyk het soos 'n see van glas^e wat met vuur gemeng is, en dié wat die wilde dier en sy beeld^f en die getal van sy naam^g oorwin het,^h het by die see van glas gestaan en harpe van God vasgehou. **3** Hulle het die lied van Moses,ⁱ die slaaf van God, en die lied van die Lam^j gesing en gesê:

“Groot en wonderlik is u werke,^k Jehovah* God, die Almagtige.^l U is regverdig en betroubaar in alles wat u doen,^m

14:20 *Omtrent 296 km. 'n Stadie was gelyk aan 185 m. Sien Aanb. B14.
15:3 *Sien Aanb. A5.

14:8 *Of “woede”. #Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys.

Koning van die ewigheid.^a
4 Wie sal u nie werklik vrees nie, Jehovah,* en u naam nie verheerlik nie? Want u alleen is lojaal.^b Al die nasies sal kom en voor u aanbid^c omdat u regverdige oordele geopenbaar is.”

5 Daarna het ek gesien dat die heiligdom van die tent van die getuienis^d in die hemel oopgemaak is,^e **6** en die sewe engele met die sewe plaef^f het uit die heiligdom uitgekom, en hulle het skoon, blink linne aangehad met goue bande om hulle bors. **7** Een van die vier lewendes wesen het vir die sewe engele sewe goue bakke gegee, wat vol was van die woede van God,^g wat vir ewig en altyd lewe. **8** En die heiligdom het vol rook geword weens die heerlikheid van God^h en weens sy krag, en niemand kon in die heiligdom ingaan totdat die sewe plaefⁱ van die sewe engele verby was nie.

16 En ek het 'n harde stem uit die heiligdom^j vir die sewe engele hoor sê: “Gaan gooi die sewe bakke van die woede van God op die aarde uit.”^k

2 Die eerste engel het weggegaan en sy bak op die aarde uitgegooi.^l En 'n ernstige en kwaadaardige sweer^m het die mense getref wat die merk van die wilde dierⁿ gehad het en wat sy beeld aanbid het.^o

3 Die tweede engel het sy bak in die see uitgegooi.^p En dit het bloed geword^q soos dié van 'n dooie mens, en elke lewendes wese* het doodgegaan, ja, die dinge in die see.^r

4 Die derde engel het sy bak in die riviere en die fonteine uitgegooi.^s En die riviere en die fonteinne het bloed geword.^t
5 Ek het die engel wat oor die

15:4; 16:7 *Sien Aanh. A5. 16:3 *Of “siel”.

HFST. 15

- a Jer 10:10
 1Ti 1:17
 b Jer 10:6,7
 c Ps 86:9
 Mal 1:11
 d Han 7:44
 Heb 8:1,2
 Heb 9:11
 e Op 11:19
 f Op 15:1
 g Ps 75:8
 Jer 25:15
 Op 14:9,10
 h Eks 40:34,35
 1Kn 8:10,11
 Jes 6:4
 Ese 44:4
 i Op 15:1

HFST. 16

- j Op 16:17
 k Ps 69:24
 Sef 3:8
 l Op 8:7
 m Eks 9:10
 n Op 13:16,18
 o Op 13:15
 Op 19:20
 p Op 8:8
 q Eks 7:20
 r Jes 57:20
 s Op 8:10
 t Eks 7:20
 Ps 78:44

Tweede kol.

- a Op 1:4
 b Ps 145:17
 Op 15:4
 c De 32:4
 Ps 119:137
 d Ps 79:3
 e Jes 49:26
 f Op 18:20
 g Eks 6:3
 h Ps 19:9
 Ps 119:137
 Op 19:1,2
 i Op 8:12
 j Eks 10:21
 Jes 8:22
 k Op 9:13,14
 l Jer 50:38
 m Jes 44:27,28
 n Op 12:3

waters is, hoor sê: “U, die Een wat is en wat was,^a die Een wat lojaal is,^b is regverdig, omdat u hierdie oordele gegee het,^c **6** want hulle het die bloed van heiliges en van profete uitgestort,^d en u het vir hulle bloed gegee om te drink.^e Hulle verdien dit.”^f **7** En ek het die altaar hoor sê: “Ja, Jehovah* God, die Almagtige,^g u oordele^h is betroubaar en regverdig.”^h

8 Die vierde engel het sy bak op die son uitgegooi,ⁱ en die son is toegelaat om die mense met vuur te verskroei. **9** En die mense is deur die groot hitte verskroei, maar hulle het die naam van God gelaster, wat die gesag oor hierdie plaef^j het, en hulle het nie berou getoon nie en hom nie verheerlik nie.

10 Die vyfde engel het sy bak op die troon van die wilde dier uitgegooi. En alles waaroor hy regeer het,^k het donker geword,^l en hulle het hulle tonge begin kou as gevolg van die pyn, **11** maar hulle het die God van die hemel gelaster weens hulle pyne en hulle swere, en hulle het nie berou getoon oor hulle werke nie.

12 Die sesde engel het sy bak op die groot rivier, die Eufraat-rivier,^k uitgegooi, en sy water is opgedroog^o om die weg voor te berei vir die konings^m wat kom uit die rigting van die sonsopkoms.*

13 En ek het drie onrein geïnspireerde boodskappe* wat soos paddas gelyk het, uit die bek van die draakⁿ en uit die bek van die wilde dier en uit die mond van die valse profeet sien kom. **14** Hulle is in werklikheid boodskappe wat deur

16:7 *Of “regerlike bevel”. 16:10 *Lett. “sy koninkryk”. 16:12 *Of “ooste”. 16:13 *Lett. “onrein geeste”.

demone geïnspireer is en hulle doen tekens^a en hulle gaan uit na die konings van die hele aarde, om hulle bymekaar te bring vir die oorlog^b van die groot dag van God die Almagtige.^c

15 "Kyk! Ek kom soos 'n dief.^d Gelukkig is die een wat wakker bly^e en sy bo-klere behou, sodat hy nie kaal loop en mense sy skande sien nie."^f

16 En hulle het hulle byme-kaargebring by die plek wat in Hebreeus Armageddon^g genoem word.

17 Die sewende engel het sy bak op die lug uitgegooi. Toe het 'n harde stem uit die heiligdom,^h van die troon af, gekom en gesê: "Dit is verby!" **18** En daar was weerligstrale en stemme en donderslae, en daar was 'n groot aardbewing wat anders was as enige aardbewing wat plaasgevind het sedert daar mense op die aarde was.ⁱ Dit is hoe groot en hewig die aardbewing was. **19** Die groot stad^j het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het geval. God het aan Babilon die Grote^k gedink deur die beker van die wyn van sy groot woede aan haar te gee.^l **20** En elke eiland het gevlug, en berge is nie gevind nie.^m **21** Toe het groot haelstene, elkeen omtrent 'n talent* swaar, uit die hemel op die mense geval,ⁿ en die mense het God gelaster weens die plaag van die hael,^o want die plaag was buitengewoon groot.

17 Een van die sewe engele wat die sewe bakke^p gehad het, het gekom en vir my gesê: "Kom, ek sal jou die oordeel wys wat gaan kom oor die groot

16:16 *Grieks: *Har Ma-ge-don*, van 'n Hebreeuse term wat "berg van Megidido" beteken. **16:21** *'n Griekse talent was gelyk aan 20,4 kg. Sien Aanh. B14.

- HFST. 16
- a Op 13:11, 13
- b Op 19:19
- c Jes 13:6
Jer 25:33
Ese 30:3
Jl 1:15
Jl 2:1, 11
Sef 1:15
2Pe 3:11, 12
- d 1Te 5:2
2Pe 3:10
- e Lu 21:36
- f Op 3:18
- g 2Kr 35:22
Sag 12:11
Op 19:19
- h Op 16:1
- i Ese 38:19
Da 12:1
Heb 12:26
- j Op 17:18
- k Op 18:2
- l Jer 25:15
Op 15:7
- m Op 6:14
- n Job 38:22, 23
- o Eks 9:24

HFST. 17
p Op 16:1

Tweede kol.

- a Jer 51:13
Op 17:15
Op 19:2
- b Jak 4:4
Op 18:9
- c Jer 51:7
Op 14:8
Op 18:3
- d Lu 16:19
- e Op 18:11, 12
Op 18:19
- f Op 19:2
- g Op 18:5
- h Op 6:9
Op 18:24
Op 19:2
- i Op 17:5
- j Op 17:3
- k Op 20:1
- l Eks 32:32
Ps 69:28
Flp 4:3

prostituut wat op baie waters sit.^a **2** Die konings van die aarde het seksuele onsedelikheid* met haar gepleeg,^b en dié wat op die aarde woon, is dronk gemaak met die wyn van haar seksuele onsedelikheid."^c

3 Hy het my in die krag van die gees na 'n wildernis weggeneem. En ek het 'n vrou op 'n helderrooi wilde dier sien sit, wat vol lasterlike name was en wat sewe koppe en tien horings gehad het. **4** Die vrou het pers^d en helderrooi klere aangehad en was versier met goud en edelstene en pêrels.^e In haar hand was 'n goue beker vol walglike dinge en die onrein dinge van haar seksuele onsedelikheid.^f **5** Op haar voorkop was 'n naam, 'n geheim, geskryf: "Babilon die Grote, die moeder van die prostitute^g en van die walglike dinge van die aarde."^g **6** En ek het gesien dat die vrou dronk was van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus.^h

Wel, toe ek haar sien, was ek baie verbaas. **7** Toe het die engel vir my gesê: "Hoekom was jy verbaas? Ek sal jou die geheim vertel van hierdie vrouⁱ en die wilde dier wat haar dra en wat die sewe koppe en die tien horings het.^j **8** Die wilde dier wat jy gesien het, was, maar is nie, en staan tog op die punt om uit die afgrond^k op te kom, en hy sal vernietig word. En dié wat op die aarde woon – dié wie se name van die begin van die mensdom* af nie in die boekrol van die lewe geskryf is nie^l – sal verbaas wees wanneer hulle sien hoe die wilde dier was,

17:2 *Sien Woordelys. **17:2, 4** *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. **17:8** *Of "grondlegging van die wêreld".

maar nie is nie, en tog teenwoordig sal wees.

9 "Hiervoor is 'n verstand* met wysheid nodig: Die sewe koppe^a beteken sewe berge, waarop die vrou sit. **10** En daar is sewe konings: Vyf het geval, een is, en die ander een het nog nie gekom nie, maar wanneer hy wel kom, moet hy 'n kort tydjie bly. **11** En die wilde dier wat was, maar nie is nie,^b is ook 'n agtste koning, maar hy kom uit die sewe, en hy sal vernietig word.

12 "Die tien horings wat jy gesien het, beteken tien konings wat nog nie 'n koninkryk ontvang het nie, maar hulle ontvang een uur lank gesag as konings saam met die wilde dier. **13** Hulle het een gedagte, en daarom gee hulle hulle mag en gesag aan die wilde dier. **14** Hulle sal teen die Lam veg,^c maar die Lam sal hulle oorwin^d omdat hy Here van die here en Koning van die konings is.^e Dié wat saam met hom is en wat geroep en uitgekies en getrou is, sal ook oorwin."^f

15 Hy het vir my gesê: "Die waters wat jy gesien het, waar die prostituut sit, beteken volke en skares en nasies en tale.^g **16** En die tien horings^h wat jy gesien het en die wilde dier,ⁱ sal die prostituut/ haat en sal haar verwoes en kaal maak, en hulle sal haar vlees opvreet en haar heeltemal met vuur verbrand.^k **17** Want God het dit in hulle harte gesit om sy gedagte uit te voer,^j ja, om hulle een gedagte uit te voer deur hulle koninkryk aan die wilde dier te gee,^m totdat die woorde van God vervul is. **18** En die vrouⁿ wat jy gesien het, beteken die groot stad wat 'n koninkryk oor die konings van die aarde het."

17:9 *Of "intelligensie".

HFST. 17

a Op 17:7

b Op 17:8

c Joh 1:29
Op 5:6

d Op 19:11, 15

e Mt 28:18
Han 2:36
1Ti 6:15

f Ro 16:20

g Jes 57:20
Jer 51:13

h Op 17:12

i Op 17:8

j Op 17:7

k Le 21:9
Op 18:8

l Jos 11:19, 20
Spr 21:1

m Op 17:12

n Op 17:5

Tweede kol.

HFST. 18

a Jes 21:9
Jer 51:8
Op 14:8

b Jes 13:21
Jer 50:39

c Jer 51:7

d Op 17:1, 2

e Jes 48:20
Jes 52:11
Jer 50:8

f Jer 51:6, 45
2Kor 6:17

g Jer 51:9

h Op 16:19

i Jer 50:29
2Te 1:6

j Ps 137:8
Jer 50:15

k Ps 75:8

l Op 16:19

m Jes 47:7-9

18 Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel sien neerdaal met groot gesag, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig. **2** En hy het met 'n sterk stem uitgeroep en gesê: "Sy het geval! Babilon die Grote het geval,^a en sy het 'n woonplek van demone geword en 'n skuilplek vir elke onrein gees* en elke onrein en haatlike voël!^b **3** Want weens die wyn van die passie* van haar seksuele onsedelikheid^c het al die nasies slagoffers geword,^c en die konings van die aarde het seksuele onsedelikheid met haar gepleeg,^d en die handelaars^a van die aarde het ryk geword as gevolg van die mag van haar skaamtelose weelde."

4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, my volk,^e as julle nie met haar in haar sondes wil deel nie en as julle nie deel van haar plaes wil ontvang nie.^f **5** Want haar sondes het so hoog soos die hemel opgehoop,^g en God het haar dade van ongeregtigheid* onthou.^h **6** Betaal haar terug op die manier waarop sy ander behandel het,ⁱ ja, betaal haar twee keer soveel terug vir wat sy gedoen het.^j Meng vir haar twee keer soveel van die mengsel in die beker^k waarin sy 'n mengsel gemaak het.^l **7** Laat haar net soveel pyn en droefheid hê as die eer wat sy aan haarself gegee het en die skaamtelose weelde wat sy gehad het. Want in haar hart bly sy sê: 'Ek sit as koningin, en ek is nie 'n weduwee nie, en ek sal nooit treur nie.'^m **8** Daarom sal haar plaes in een dag kom: dood en

18:2 *Of moontlik "asem; geïnspireerde stelling". 18:3 *Of "woede".^a Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. ^bOf "reisende koopmanne". 18:5 *Of "haar misdade".

getreur en hongersnood, en sy sal heeltemal met vuur verbrand word,^a want Jehovah* God, wat haar geoordeel het, is sterk.^b

9 “En die konings van die aarde wat seksuele onsedelikheid* met haar gepleeg het en saam met haar in skaamtelose weelde gelewe het, sal huil en oor haar treur[#] wanneer hulle die rook sien terwyl sy verbrand word. **10** Omdat hulle bang is dat hulle soos sy gepynig sal word, sal hulle op ’n afstand staan en sê: ‘Hoe jammer, hoe jammer, o groot stad,^c Babilon, die sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!’

11 “Die handelaars van die aarde huil en treur ook oor haar, omdat daar nie meer iemand is om al hulle goedere te koop nie.

12 Niemand koop hulle goud, silwer, edelstene, pêrels, fyn linnene, pers materiaal, sy en helderrooi materiaal nie. Niemand koop enigiets wat gemaak is van hout wat lekker ruik, ivoor, kosbare hout, koper, yster of marmer nie. **13** Ja, niemand koop hulle kaneel, Indiese speserye, reukwerk, lekkerruik-olie, wierook, wyn, olyfolie, fynmeel, koring, beeste, skape, perde, koetse, slawe of menseleweens nie. **14** Ja, die goeie vrugte wat jy begeer het, is weg, en al die lekkernye en skitterende dinge het verlore gegaan en sal nooit weer gevind word nie.

15 “Die handelaars wat hierdie dinge verkoop het, wat ryk geword het as gevolg van haar, sal op ’n afstand staan omdat hulle bang is dat hulle soos sy gepynig sal word, en hulle sal huil en treur **16** en sê: ‘Hoe jammer, hoe jammer, die groot stad, wat klere van fyn linne

HFST. 18
a Le 21:9

b Jer 50:34

c Da 4:30

Tweede kol.

a Op 17:4

b Jes 47:11

c Jer 51:48

d Op 14:12

e De 32:43
Ro 12:19
Op 6:9, 10
Op 19:1, 2

en pers en helderrooi materiaal aagehad het en wat ryklik versier was met goue versierings, edelstene en pêrels,^a **17** want in een uur het hierdie groot rykdom verdwyn!”

“En elke skepskaptein en elkeen wat op die see vaar, en matrose en almal wat ’n bestaan uit die see maak, het op ’n afstand gestaan **18** en uitgeroep toe hulle die rook sien terwyl sy verbrand word, en hulle het gesê: ‘Watter stad is soos die groot stad?’ **19** Hulle het stof op hulle koppe gegooi en met ’n gehuil en ’n getreur uitgeroep en gesê: ‘Hoe jammer, hoe jammer, die groot stad, waarin almal wat skepe op see het, ryk geword het weens haar rykdom, want in een uur is sy verwoes!’^b

20 “Wees bly oor haar, o hemel,^c ook julle, heiliges^d en apostels en profete, want God het sy oordeel oor haar uitgespreek vir die dinge wat sy aan julle gedoen het!”^e

21 En ’n sterk engel het ’n klip soos ’n groot meulsteen opgetel en dit in die see gegooi en gesê: “So sal Babilon, die groot stad, met ’n vinnige beweging neergegooi word, en sy sal nooit weer gevind word nie.^f **22** En die geluid van sangers wat hulleself op die harp begelei, en die geluid van musikante, fluitspelers en trompetblasers sal nooit weer in jou gehoor word nie. Geen soort ambagsman sal ooit weer in jou gevind word nie, en geen geluid van ’n meulsteen sal ooit weer in jou gehoor word nie. **23** Geen lig van ’n lamp sal ooit weer in jou skyn nie, en geen stem van ’n bruidegom en van ’n bruid sal ooit weer in jou gehoor word nie, want jou handelaars was die belangrikste mense van die aarde, en al die nasies is deur jou spiritistie-

18:8 *Sien Aanh. A5. 18:9 *Sien Woordelys. [#]Of “hulleself in droefheid oor haar slaan”.

f Jer 51:63, 64

se gebruike^a mislei. **24** Ja, in haar is die bloed van profete en van heiliges gevind,^b en van almal wat op die aarde doodgemaak is.”^c

19 Hierna het ek iets gehoor wat soos 'n harde stem van 'n groot skare in die hemel was. Hulle het gesê: “Loof Jah!”^d Die redding en die eer en die mag behoort aan ons God, **2** want sy oordele is betroubaar en regverdig.^e Want hy het die groot prostituut geoordeel wat die aarde met haar seksuele onsedelikheid^f mislei het, en hy het wraak geneem vir die bloed van sy slawe wat op haar hande^g is.”^f **3** En dadelik het hulle vir die tweede keer gesê: “Loof Jah!”^g En die rook wat uit haar kom, bly vir ewig en altyd opgaan.”^h

4 En die 24 ouderlingeⁱ en die vier lewende wesens^j het neergeval en God aanbid wat op die troon sit en het gesê: “Amen! Loof Jah!”^k

5 En 'n stem het van die troon af gekom wat gesê het: “Loof ons God, al sy slawe^l wat hom vrees, klein en groot.”^m

6 En ek het iets gehoor wat geklink het soos 'n stem van 'n groot skare en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van swaar donderslae. Hulle het gesê: “Loof Jah,”ⁿ want Jehovah^o ons God, die Almagtige,^o het as koning begin regeer!^p **7** Laat ons bly wees en oorloop van vreugde, en laat ons hom eer, want die huwelik van die Lam het aangebreek en sy vrou het haar gereedgemaak. **8** Ja, sy word toegelaat

19:1, 3, 4, 6 *Of “Halleluja!” “Jah” is 'n verkorte vorm van die naam Jehovah. **19:2** *Grieks: *por-nei'a*. Sien Woordelys. *Lett. “uit haar hand”. **19:6** *Sien Aanh. A5.

HFST. 18

- a Jes 47:9
Ga 5:19, 20
b Op 6:9, 10
Op 16:5, 6
c Ge 9:6
Jer 51:49

HFST. 19

- d Ps 150:6
e De 32:4
Ps 19:9
Op 15:3
f De 32:43
2Kn 9:7
Ps 79:10
Op 18:20, 24
g Ps 117:1
h Jes 34:10
i Op 4:4
j Op 4:6
k Ps 106:48
l Ps 134:1
Ps 135:1
m Ps 115:13
n Ps 113:1
o Eks 6:3
p Ps 97:1
Jes 52:7
Op 11:15

Tweede kol.

- a Jes 61:10
Ef 5:25-27
Op 14:4
b Mt 22:2
Mt 25:10
c Han 10:25, 26
Op 22:8, 9
d Mt 28:19, 20
Han 1:8
e Mt 4:10
Joh 4:23
f Lu 24:27
Han 10:43
1Pe 1:10, 11
g Op 6:2
h Op 1:5
i Joh 1:14
Op 3:14
j Jes 11:4, 5
Heb 1:8, 9
k Op 1:13, 14
l Joh 1:1
m 2Te 2:8
Op 1:13, 16
n Ps 2:9
Op 2:26, 27
o Jl 3:13
Op 14:19, 20
p Mt 28:18
Filp 2:9-11
1Ti 6:15
Op 17:14

om blink, skoon, fyn linne aan te trek – want die fyn linne beteken die regverdigde dae van die heiliges.”^a

9 En hy het vir my gesê: “Skryf: Gelukkig is dié wat na die aandmaal van die Lam se huwelik^b genooi is.” Hy het ook vir my gesê: “Dit is die betroubare woorde van God.” **10** Toe het ek voor sy voete neergeval om hom te aanbid. Maar hy het vir my gesê: “Pasop! Moet dit nie doen nie!^c Ek is maar net 'n medeslaaf van jou en van jou broers wat die werk het om oor Jesus te getuig.^d Aanbid God!^e Want dit is die getuienis oor Jesus wat profesie inspireer.”^f

11 Ek het gesien dat die hemel oop is, en kyk! 'n wit perd.^g En die een wat daarop sit, word Getrou^h en Betroubaarⁱ genoem, en hy oordeel en voer oorlog in regverdigheid.^j **12** Sy oë is 'n vuurvlam,^k en op sy kop is baie krone.^l Daar is 'n naam op hom geskryf wat niemand behalwe hy self ken nie, **13** en hy het 'n bo-kleed aan wat met bloed bevlek^m is, en sy naam is: Die Woordⁿ van God. **14** Die leërmagte in die hemel het hom op wit perde gevolg, en hulle het wit, skoon, fyn linne aangehad. **15** En uit sy mond kom 'n skerp, lang swaard^o waarmee hy die nasies sal vernietig, en hy sal met 'n ysterstaf as herder teenoor hulle optree.^p Hy trap ook die wynpers van die groot woede van God die Almagtige.^o **16** Op sy bo-kleed, ja, op sy bo-been, is 'n naam geskryf: Koning van die konings en Here van die here.^p

17 Ek het ook 'n engel in die sien staan, en hy het met 'n harde stem uitgeroep en vir al die voëls wat in die

19:12 *Of “koninklike kopbande”. **19:13** *Of moontlik “besprinkel”.

middel van die hemel* vlieg, gesê: "Kom hier, kom bymekaar vir die groot aandmaal van God,^a **18** sodat julle die vlees kan eet van konings en van militêre bevelvoerders en van sterkmanne^b en van perde en van dié wat op hulle sit,^c en van almal, van vry mense sowel as van slawe en van klein en groot."

19 En ek het gesien dat die wilde dier en die konings van die aarde en hulle leërmagte bymekaar is om oorlog te voer teen die een wat op die perd sit en teen sy leërmag.^d **20** En die wilde dier is gevang, en saam met hom die valse profeet^e wat voor hom die tekens gedoen het waarmee hy dié mislei het wat die merk van die wilde dier^f ontvang het asook dié wat sy beeld aanbid.^g Hulle is albei lewend in die poel van vuur gegooi wat met swael brand.^h **21** Maar die res is doodgemaak met die lang swaard wat uit die mond kom van die een wat op die perd sit.ⁱ En al die voëls het versadig geword met hulle vlees.^j

20 Ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal met die sleutel van die afgrond^k en 'n groot ketting in sy hand. **2** Hy het die draak^l gegryp, die oorspronklike slang,^m wat die Duiwelⁿ en Satan^o is, en hom vir 1000 jaar gebind. **3** En hy het hom in die afgrond^p gegooi en dit gesluit en dit verseël, sodat hy die nasies nie meer sou mislei totdat die 1000 jaar verby is nie. Hierna moet hy vir 'n klein rukkie vrygelaat word.^q

4 En ek het trone gesien, en dié wat daarop gesit het, het gesag ontvang om te oordeel. Ja, ek het die siele* gesien van dié wat doodgemaak is^r omdat

19:17 *Of "in die lug". 20:4 *Sien Woordelys en Op 6:9, vtn. ^r Lett. "dié wat met die byl doodgemaak is".

HFST. 19

- a Ese 39:4, 17
- b Ese 39:18
- c Ese 39:20
- d Op 16:14, 16
- e Op 16:13
- f Op 13:16, 17
- g Op 13:15
- h Mt 10:28
2Pe 2:6
Jud 7
Op 20:14
- i Op 2:16
Op 6:2
- j Ese 39:4

HFST. 20

- k Op 9:1
- l Op 12:3
- m Ge 3:1
- n Joh 8:44
- o Sag 3:1
Op 12:9
- p Op 9:11
- q Op 20:7

Tweede kol.

- a Op 13:15-17
- b Mt 19:28
Lu 22:28-30
2Ti 2:12
Op 1:6
- c Han 24:15
- d 1Kor 15:23, 52
Flp 3:10, 11
1Te 4:16
- e Op 14:13
- f Op 2:11
Op 20:14
- g 1Kor 15:54
- h 1Pe 2:9
- i Op 1:6
Op 5:9, 10
- j 2Kn 1:10
- k Op 13:1
- l Op 19:20
- m Op 4:2, 3
- n 2Pe 3:7

hulle oor Jesus getuig het en oor God gepraat het, en van dié wat nie die wilde dier of sy beeld aanbid het nie en wat nie die merk op hulle voorkop en op hulle hand ontvang het nie.^a En hulle het lewend geword en 1000 jaar lank saam met die Christus as konings regeer.^b **5** (Die res van die dooies^c het nie lewend geword totdat die 1000 jaar geëindig het nie.) Dit is die eerste opstanding.^d **6** Gelukkig en heilig is enigeen wat die eerste opstanding ontvang.^e Die tweede dood^f het geen gesag oor hulle nie,^g maar hulle sal priesters^h van God en van die Christus wees en sal die 1000 jaar lank saam met hom as konings regeer.ⁱ

7 Sodra die 1000 jaar geëindig het, sal Satan uit sy gevangenis vrygelaat word, **8** en hy sal uitgaan om die nasies te mislei wat in die vier hoeke van die aarde is, Gog en Magog, om hulle vir die oorlog bymekaar te bring. Hulle getal is soos die sand van die see. **9** En hulle het oor die hele aarde gegaan en die kamp van die heiliges en die geliefde stad omsingel. Maar vuur het uit die hemel gekom en hulle verteer.^j **10** En die Duiwel, wat hulle mislei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, waar die wilde dier^k sowel as die valse profeet reeds was,^l en hulle sal dag en nag gepynig* word vir ewig en altyd.

11 En ek het 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit.^m Die aarde en die hemel het voor hom weggevlug,ⁿ en geen plek is vir hulle gevind nie. **12** En ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en boekrolle is oopgemaak. Maar 'n ander boekrol

20:10 *Of "in bedwang gehou; gevangenge gehou".

is oopgemaak. Dit is die boekrol van die lewe.^a Die dooies is geoordeel volgens wat in die boekrolle geskryf is, volgens hulle dade.^b **13** En die see het die dooies gegee wat daarin was, en die dood en die Graf* het die dooies gegee wat in hulle was, en elkeen van die dooies is volgens hulle dade geoordeel.^c **14** En die dood en die Graf* is in die poel van vuur gegooi.^d Die poel van vuur^e beteken die tweede dood.^f **15** En as iemand se naam nie in die boek van die lewe geskryf is nie,^g is hy in die poel van vuur gegooi.^h

21 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aardeⁱ gesien, want die vorige hemel en die vorige aarde was nie meer daar nie,^j en die see^k was ook nie meer daar nie. **2** Ek het ook die heilige stad, Nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal.^l Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.^m **3** Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk! Die tent van God is by die mensdom, en hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees. En God self sal by hulle wees.ⁿ **4** En God sal elke traan van hulle oë afvee,^o en die dood sal nie meer daar wees nie.^p Daar sal geen getreure, geen gehuil en geen pyn meer wees nie.^q Die vorige dinge is verby."

5 Die Een wat op die troon sit,^r het gesê: "Kyk! Ek maak alles nuut."^s Hy het ook gesê: "Skryf, want hierdie woorde is betroubaar en waar."^t **6** En hy het vir my gesê: "Dit het gebeur! Ek is die Alfa en die Ome'ga,* die begin en die einde.^t Ek sal

20:13, 14 *Of "Hades". Sien Woordelys. **21:6** *Of "die A en die Z". Alfa en Omega is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet.

HFST. 20

- a Eks 32:33
- Ps 69:28
- Da 12:1
- b Joh 5:28, 29
- c Han 10:42
- d Jes 25:8
- 1Kor 15:26
- e Mt 5:22
- Mt 18:9
- Op 2:18
- f Op 2:11
- Op 20:6
- g Op 17:8
- h Spr 10:7

HFST. 21

- i Jes 65:17
- Jes 66:22
- 2Pe 3:13
- j 2Pe 3:10
- Op 20:11
- k Jes 57:20
- l Op 3:12
- m Op 19:7
- n Ese 37:27
- o Op 7:17
- p Jes 25:8
- 1Kor 15:26
- q Jes 35:10
- Jes 65:19
- r Op 4:2, 3
- s 2Pe 3:13
- t Op 1:8
- Op 22:13

Tweede kol.

- a Ps 36:9
- Jes 55:1
- Op 7:17
- Op 22:1
- b 1Jo 5:10
- c 1Jo 3:15
- d Ef 5:5
- e Joh 8:44
- f Op 19:20
- g Spr 10:7
- Heb 10:26, 27
- Op 2:11
- Op 20:6
- h Op 15:1
- i Op 19:7
- j Heb 12:22
- Op 3:12
- Op 21:2
- k Jes 60:1, 2
- l Eks 24:9, 10
- m Op 22:14
- n Mt 10:2-4
- Lu 6:13-16
- Han 1:13
- o Ese 40:3, 5

elkeen wat dors is, verniet uit die fontein van die water van die lewe laat drink.^a **7** Elkeen wat oorwin, sal hierdie dinge ontvang, en ek sal sy God wees en hy sal my seun wees. **8** Maar die lafaards en dié sonder geloof^b en dié wat walglik is in hulle vuilheid en moordenaars^c en seksueel onsedelike* mense^d en dié wat spiritisme beoefen en afgodediens en al die leuenaars^e sal in die poel gegooi word wat met vuur en swael brand.^f Dit beteken die tweede dood.^g

9 Een van die sewe engele wat die sewe bakke gehad het wat gevul was met die sewe laaste plaes,^h het gekom en vir my gesê: "Kom, en ek sal jou die bruid, die Lam se vrou,ⁱ wys." **10** Toe het hy my in die krag van die gees na 'n groot, hoë berg geneem, en hy het my die heilige stad Jerusalem gewys wat van God af uit die hemel neerdaal.^l **11** En die heerlijkheid van God^k het. Die glans daarvan was soos 'n baie kosbare steen, soos 'n jaspissteen wat kristalhelder blink.^l **12** Dit het 'n groot, hoë muur en 12 poorte gehad, en by die poorte was daar 12 engele, en op die poorte was die name gegraveer van die 12 stamme van Israel. **13** Aan die oostekant was drie poorte, en aan die noordekant drie poorte, en aan die suidekant drie poorte, en aan die westekant drie poorte.^m **14** Die muur van die stad het ook 12 fondamentstene gehad, en die 12 name van die 12 apostelsⁿ van die Lam was daarop.

15 Die een wat met my gepraat het, het 'n goue riet vasgehou sodat hy die stad en sy poorte en sy muur kon meet.^o

21:8 *Sien Woordelys, "Seksuele onsedelikheid".

16 Die stad is vierkantig, en sy lengte is gelyk aan sy breedte. En hy het die stad met die riet gemeet, 12 000 stadie.* Sy lengte en breedte en hoogte is gelyk. **17** Hy het ook die muur gemeet, 144 el,* volgens die maat wat 'n mens gebruik en ook dieselfde maat wat 'n engel gebruik. **18** En die muur is van jaspis^a gemaak, en die stad was van suiwer goud, soos helder glas. **19** Die fundamente van die stad se muur was versier met allerhande edelstene: Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde kalsedoon, die vierde smarag, **20** die vyfde sardo'niks, die sesde sardis, die sewende chrisoliet, die agtste beril', die negende topaas, die tiende chrisopaas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis. **21** En die 12 poorte was 12 pèrels. Elke poort was uit een pèrel gemaak. Die hoofstraat van die stad was van suiwer goud, soos deurskynende glas.

22 Ek het nie 'n tempel daarin gesien nie, want Jehovah* God, die Almagtige,^b is sy tempel, en die Lam is ook sy tempel. **23** En die stad het nie die son en ook nie die maan nodig om daarop te skyn nie, want die heerlikheid van God het dit verlig,^c en sy lamp was die Lam.^d **24** Die nasies sal in die stad se lig lewe,^e en die konings van die aarde sal hulle heerlikheid in die stad inbring. **25** Sy poorte sal gedurende die dag glad nie toegemaak word nie, want nag sal nie daar bestaan nie.^f **26** En hulle sal die prag en die eer van die nasies daarin bring.^g **27** Maar enig-

21:16 *Omtrent 2 200 km. 'n Stadie was gelyk aan 185 m. Sien Aanh. B14. 21:17 *Omtrent 64 m. Sien Aanh. B14. 21:22; 22:5, 6 *Sien Aanh. A5.

HFST. 21
a Op 4:3
Op 21:10, 11
b Eks 6:3
c Jes 60:19, 20
Op 22:5
d Joh 1:9
Han 26:13, 15
Heb 1:3
e Jes 60:3
f Jes 60:11, 20
g Jes 60:5

Tweede kol.

a Ps 5:6
Jes 52:1
1Kor 6:9, 10
Ga 5:19-21
Op 21:8
b Da 12:1
Flp 4:3
Op 13:8

HFST. 22

c Ese 47:1
d Joh 1:29
e Ese 47:12
f Op 3:21
g Mt 5:8
h Op 14:1
i Op 21:25
j Jes 60:19, 20
1Jo 1:5
k Da 7:18
Op 3:21
l Tit 1:2
m 2Ti 3:16
n Op 16:15
Op 22:20
o Joh 13:17
Op 1:3

iets wat onrein is en enigiemand wat iets walgliks en bedriegliks doen, sal glad nie daar ingaan nie.^a Net dié wat in die Lam se boekrol van die lewe geskryf is, sal ingaan.^b

22 En hy het vir my 'n rivier van water van die lewe^c gewys, helder soos kristal, wat uit die troon van God en van die Lam^d uitvloei, 2 al in die middel van sy hoofstraat af. Aan albei kante van die rivier was daar bome van die lewe wat 12 vrugte-oeste voortbring, wat elke maand vrugte dra. En die blare van die bome was vir die genesing van die nasies.^e

3 En daar sal nie meer enige vervloeking wees nie. Maar die troon van God en van die Lam^f sal in die stad wees, en sy slawe sal heilige diens vir hom doen. **4** Hulle sal sy gesig sien,^g en sy naam sal op hulle voorkoppe wees.^h **5** En daar sal nie meer nag wees nie,ⁱ en hulle het geen lig van lampe of van die son nodig nie, want Jehovah* God sal hulle van lig voorsien,^j en hulle sal vir ewig en altyd as konings regeer.^k

6 Hy het vir my gesê: "Hierdie woorde is betroubaar en waar.^l Ja, Jehovah,* die God wat die profete geïnspireer het,^m het sy engel gestuur om vir sy slawe te wys wat binnekort moet gebeur. **7** Kyk! ek kom gou.ⁿ Gelukkig is elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boekrol bewaar."^o

8 Wel, ek, Johannes, was die een wat hierdie dinge gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat hierdie dinge vir my gewys het. **9** Maar hy het vir my gesê: "Pasop! Moet dit nie doen nie! Ek is net 'n medeslaaf van jou en van jou broers die

Tabel van Bybelboeke

Boeke van die Hebreuse Geskrifte, geskryf voor die Christelike era
(Huidige Jaartelling)

Naam van boek	Skrywer(s)	Waar geskryf	Boek voltooi (VHJ)	Tydperk gedek (VHJ)
Genesis	Moses	Wildernis	1513	"In die begin" tot 1657
Eksodus	Moses	Wildernis	1512	1657-1512
Levitikus	Moses	Wildernis	1512	1 maand (1512)
Numeri	Moses	Wildernis en vlaktes van Moab	1473	1512-1473
Deuteronomium	Moses	Vlaktes van Moab	1473	2 maande (1473)
Josua	Josua	Kanaän	ca. 1450	1473-ca. 1450
Rigters	Samuel	Israel	ca. 1100	ca. 1450-ca. 1120
Rut	Samuel	Israel	ca. 1090	11 jaar van die tydperk van die Rigters
1 Samuel	Samuel; Gad; Natan	Israel	ca. 1078	ca. 1180-1078
2 Samuel	Gad; Natan	Israel	ca. 1040	1077-ca. 1040
1 Konings	Jeremia	[Juda en	[1 rol	ca. 1040-580
2 Konings	Jeremia	[Egipte	[580	
1 Kronieke	Esra	Jerusalem (?)	[1 rol	[Ná 1 Kronieke 9:44:
2 Kronieke	Esra	Jerusalem (?)	[ca. 460	[ca. 1077-537
Esra	Esra	Jerusalem	ca. 460	537-ca. 467
Nehemia	Nehemia	Jerusalem	ná 443	456-ná 443
Ester	Mordegai	Susan, Elam	ca. 475	493-ca. 475
Job	Moses	Wildernis	ca. 1473	Meer as 140 jaar tussen 1657 en 1473
Psalms	Dawid en ander		ca. 460	
Spreuke	Salomo; Agur; Lemuel	Jerusalem	ca. 717	
Prediker	Salomo	Jerusalem	v. 1000	
Hooglied van Salomo	Salomo	Jerusalem	ca. 1020	
Jesaja	Jesaja	Jerusalem	ná 732	ca. 778-ná 732
Jeremia	Jeremia	Juda; Egipte	580	647-580
Klaagliedere	Jeremia	Naby Jerusalem	607	
Esegiël	Esegiël	Babilon	ca. 591	613-ca. 591
Daniël	Daniël	Babilon	ca. 536	618-ca. 536
Hosea	Hosea	Samaria (distrik)	ná 745	v. 804-ná 745
Joël	Joël	Juda	ca. 820 (?)	
Amos	Amos	Juda	ca. 804	
Obadja	Obadja		ca. 607	
Jona	Jona		ca. 844	
Miga	Miga	Juda	v. 717	ca. 777-717
Nahum	Nahum	Juda	v. 632	
Habakuk	Habakuk	Juda	ca. 628 (?)	
Sefanja	Sefanja	Juda	v. 648	
Haggai	Haggai	Jerusalem	520	112 dae (520)
Sagaria	Sagaria	Jerusalem	518	520-518
Maleagi	Maleagi	Jerusalem	ná 443	

Tabel van Bybelboeke

Boeke van die Christelike Griekse Geskrifte, geskryf gedurende die Christelike era (Huidige Jaartelling)

Naam van boek	Skrywer	Waar geskryf	Boek voltooi (HJ)	Tydperk gedek (HJ)
Matteus	Matteus	Israel	ca. 41	2 VHJ-33 HJ
Markus	Markus	Rome	ca. 60-65	29-33 HJ
Lukas	Lukas	Sesarea	ca. 56-58	3 VHJ-33 HJ
Johannes	Apostel Johannes	In of naby Efese	ca. 98	Ná inleiding, 29-33 HJ
Handelinge	Lukas	Rome	ca. 61	33-ca. 61 HJ
Romeine	Paulus	Korinte	ca. 56	
1 Korintiërs	Paulus	Efese	ca. 55	
2 Korintiërs	Paulus	Masedonië	ca. 55	
Galasiërs	Paulus	Korinte of Siriese Antiogië	ca. 50-52	
Efesiërs	Paulus	Rome	ca. 60-61	
Filippense	Paulus	Rome	ca. 60-61	
Kolossense	Paulus	Rome	ca. 60-61	
1 Tessalonisense	Paulus	Korinte	ca. 50	
2 Tessalonisense	Paulus	Korinte	ca. 51	
1 Timoteus	Paulus	Masedonië	ca. 61-64	
2 Timoteus	Paulus	Rome	ca. 65	
Titus	Paulus	Masedonië (?)	ca. 61-64	
Filemon	Paulus	Rome	ca. 60-61	
Hebreërs	Paulus	Rome	ca. 61	
Jakobus	Jakobus (Jesus se broer)	Jerusalem	v. 62	
1 Petrus	Petrus	Babilon	ca. 62-64	
2 Petrus	Petrus	Babilon (?)	ca. 64	
1 Johannes	Apostel Johannes	In of naby Efese	ca. 98	
2 Johannes	Apostel Johannes	In of naby Efese	ca. 98	
3 Johannes	Apostel Johannes	In of naby Efese	ca. 98	
Judas	Judas (Jesus se broer)	Israel (?)	ca. 65	
Openbaring	Apostel Johannes	Patmos	ca. 96	

[In die geval van party boeke is dit nie heeltemal seker wie dit geskryf het of waar en wanneer dit geskryf is nie. Die afkorting "ca." beteken "circa", of ongeveer, en "v." beteken voor.]

Afkortings in voetnote

Aanh.	Aanhangsel(s)	cm	sentimeter
d.w.s.	dit wil sê	g	gram
Let.	Letterlik	kg	kilogram
Ops	Opskrif	km	kilometer
vs.	vers(e)	l	liter
vtn.	voetnoot	m	meter

Indeks van Bybelwoorde

Sien bladsy 40 vir afkortings van name van Bybelboeke.

A

- AANBEVEEL**, 2Kor 4:2 ons voor God a.
2Kor 6:4 in elke opsig as bedienaars a.
- AANBID**, Mt 4:10 moet Jehovah jou God a.
Joh 4:24 met gees en waarheid a.
- AANDAG**, Ps 41:1 a. gee aan hulpelose
1Kor 7:35 dien Here sonder dat a. afgetrek word
- AANDMAAL**, 1Kor 11:20 nie om Here se A. te eet
- AANGEMOEDIG**, 1Kor 14:31 kan leer en a. kan word
- AANGENAAM**, Ps 147:1 a. en gepas om hom te loof!
- AANGENEEM**, Ro 8:15 deur God se gees as kinders a.
- AANGETREK**, Spr 7:10 soos 'n prostituut a.
- AANKLEEF**, Ge 2:24 pa en ma verlaat en vrou a.
- AANMOEDIG**, Han 13:15 woorde wat a., sê dit
Ro 1:12 mekaar a. deur ons geloof
Heb 10:25 moet mekaar a., al hoe meer
- AANROEP**, Ro 10:13 wat naam van Jehovah a.
- AANSPOOR**, Heb 10:24 tot liefde en goeie werke a.
- AANVAAR**, Job 2:10 net goeie dinge van God a.?
Joh 8:37 omdat julle nie a. wat ek sê
- AANVAARBAAR**, Ef 5:10 seker maak wat vir Here a.
- AANVAARDING**, 2Kor 6:2 Nou is die tyd van a.
- AANVAL**, Sag 14:13 hulle sal mekaar a.
- AARBEWINGS**, Lu 21:11 Daar sal groot a. wees
- AARDE**, Ge 1:28 vul die a. en bewerk dit
Eks 9:29 die a. behoort aan Jehovah
Job 38:4 toe ek fundamente van a. gelê het?
Ps 37:11 nederiges sal a. besit
Ps 37:29 regverdiges sal a. besit
Ps 104:5 a. sal nie uit plek verskuif word
Ps 115:16 hy het a. aan mense gegee
Spr 2:21 net goeie mense sal op a. woon
Jes 45:18 a. gemaak om bewoon te word
Mt 5:5 dié wat saggelaar is, sal a. ontvang
- AARTSENGEL**, 1Te 4:16 a. se stem
Jud 9 Migael, a., met Duiwel gestry
- ABBA**, Ro 8:15 roep ons uit: A., Vader!
- ABEL**, Ge 4:8 Kain het A. aangeval
Mt 23:35 van die bloed van a. af
- ABIGAIL**, 1Sa 25:3 A. was verstandig en pragtig
- ABRAHAM**, Ge 21:12 God vir A. gesê: Luister na haar
2Kor 20:7 u vriend A.
Mt 22:32 God van A., God van lewendes
Ro 4:3 A. geloof gestel, as regverdig beskou
- ADAM**, Ge 5:5 A. 930 jaar oud toe gesterf het
1Kor 15:22 net soos almal in A. sterf
1Kor 15:45 Die laaste A.
1Ti 2:14 A. nie bedrieg nie, maar die vrou
- ADMINISTRASIE**, Ef 1:10 om 'n a. te hê
- AFBREEK**, Ro 14:20 werk van God a. ter wille van
2Kor 10:4 dinge wat soos vestings is, a.
- AFGEDWAAL**, Ps 119:176 soos verlore skaap a.
- AFGEKEUR**, 1Kor 9:27 nie a. sou word nie
- AFGELEI**, Lu 10:40 Marta se aandag a.
- AFGENY**, Mt 25:46 Hulle sal vir ewig a. word
- AFGODE**, Ps 115:4 Hulle a. is silwer en goud
1Kor 6:9 a. aanbid, nie Koninkryk erf
1Jo 5:21 bly weg van a.
- AFGODEDIENS**, 1Kor 10:14 vlug vir a.
- AFGROND**, Op 11:7 wilde dier wat uit a. opkom
Op 17:8 wilde dier sal uit a. opkom
Op 20:3 hom in die a. gegooi
- AFHANG**, Ro 12:18 sover dit van julle a., lewe in vrede
- AFSKRIF**, De 17:18 a. skryf van hierdie Wet
- AFSONDER**, Spr 18:1 lemand wat hom a.
- AFVALLIGE**, Spr 11:9 a., medemens se ondergang
- AFVALLIGHEID**, 2Te 2:3 die a. moet eers kom
- AFWAGTING**, Lu 3:15 volk was in a. en het gewonder
- AGAN**, Jos 7:1 A. het van die goed gevat
- AGTER**, Lu 9:62 begin ploeg en kyk wat a. is
- AKKURATE KENNIS**, Ro 10:2 ywer, maar nie a.
Kol 3:10 persoonlikheid, deur a. nuut gemaak
1Ti 2:4 wie se wil dit is dat mense a. kry
- ALFA**, Op 1:8 die A. en die Omega
- ALKOHOL**, Spr 20:1 a. maak lawaaierig
- ALLEEN**, Joh 16:32 sal my a. laat. Maar ek is nie a.
- ALLERHOOGSTE**, Ps 83:18 Jehovah, die A.
Da 4:17 weet dat A. die Heerser is
- ALLES**, Flp 4:8 a. wat waar, a. wat rein
- ALTAAR**, Ge 8:20 Noag a. gebou
Eks 27:1 maak a. van akasiahout
Mt 5:24 los jou offer voor a.
Han 17:23 a. aan Onbekende God
- AMBASSADEURS**, 2Kor 5:20 a. vir Christus
- AMEN**, De 27:15 hele volk moet sê: A.!
1Kor 14:16 A. sê op jou dankgebed
2Kor 1:20 sê A. deur middel van hom
- ANANIAS**, Han 5:1 A. met sy vrou Saffira
- ANDER SKAPE**, Joh 10:16 a., nie van hierdie kraal
- ANGSTIG**, Jes 41:10 Moenie a. wees, ek is jou God
- ANGSTIGHEID**, 2Sa 22:7 In my a. tot Jehovah geroep
Spr 12:25 A. maak mens terneergedruk
- ANKER**, Heb 6:19 hoop as a. vir siel
- ANNA**, Lu 2:36, 37 A., 'n profetes, 84 jaar oud
- ANTICHRISTE**, 1Jo 2:18 nou reeds baie a.
- ANTWOORD**, Spr 15:1 Sagate a. laat woede bedaar
Spr 15:23 Man bly as hy regte a. gee
Spr 15:28 regverdige dink voordat hy a.
Spr 18:13 op saak a. voordat hy feite hoor
Jes 65:24 voordat hulle uitroep, sal ek a.
Kol 4:6 weet hoe julle elkeen behoort te a.
- APOLLOS**, Han 18:24 A. kon goed praat
- APOSTELS**, Mt 10:2 name van die 12 a.
Han 15:6 a. en ouermanne bymekaargekom
1Kor 15:9 ek is minste van a.
2Kor 11:5 julle super-a.
- APPEL**, Ps 17:8 Benaar my soos a. van u oog
- APPELS**, Spr 25:11 goeie a. in silwerhouer
- AQUILA**, Han 18:2 Jood met die naam A.
- ARARAT**, Ge 8:4 ark kom op A.-berge tot rus
- ARENDE**, Jes 40:31 sal sweef soos a.
- AREOPAGUS**, Han 17:22 Paulus in A. gestaan
- ARK**, Ge 6:14 Maak vir jou 'n a.
Eks 25:10 maak 'n a. van akasiahout
2Sa 6:6 Ussa A. gegryp
1Kor 15:2 Niemand mag A. dra, behalwe Leviëte
- ARM**, 1Sa 2:8 haal een wat a. is, van ashoop af
Spr 30:9 Laat my nie a. word en steel
2Kor 6:10 a., tog maak ons baie mense ryk

2Kor 8:2 baie vrygewig, al was hulle a.
 2Kor 8:9 Christus a. geword vir julle
ARMAGEDDON, Op 16:16 in Hebrees a.
ARMES, Ps 9:18 a. sal nie vir altyd vergeet word
 Ps 69:33 Jehovah luister na a.
 Lu 4:18 om goeie nuus aan a. te verkondig
 Joh 12:8 julle het altyd a. by julle
 Ga 2:10 vra dat ons aan a. dink
ARMOEDE, Spr 30:8 Moenie vir my rykdom of a. gee
ARROGANT, 2Pe 2:10 uitdagend en a.
ARTEMIS, Han 19:34 geskree: Groot is A!
ASASEL, Le 16:8 Aäron sal lot werp vir A.
ASEM, Ge 2:7 a. van lewe in neusgate
ASEMHAAL, Ps 150:6 Laat alles wat a. Jah loof
ASSEBLIEF, Ge 15:5 Kyk a. op na hemel
ASSOSIASIE, 1Kor 15:33 Slegte a. bederf
ASSOSIEER, 1Kor 5:9 ophou a. met onsedelike
 2Te 3:14 hou op om met hom te a.

B

BAÄL, Jer 19:5 seuns as heelbrandoffers aan B.
BABEL, Ge 11:9 B. genoem, want daar
BABILON, Jer 51:6 Vlug uit B. uit!
 Jer 51:30 vegters van B. het ophou veg
 Jer 51:37 B. sal kilphope word
 Op 17:5 B. die Grote, die moeder van
 Op 18:2 B. die Grote het geval
BAND, Ef 4:3 verenigende b. van vrede
 Kol 3:14 liefde, 'n volmaakte b. van eenheid
BANG, Ge 9:2 Al die diere sal vir julle b. wees
 2Kor 20:15 moenie b. wees vir groot leerimg
 Job 31:34 b. vir wat mense sou sê?
 Ps 56:4 stel vertrou in God, ek is nie b.
 Ps 91:5 nie b. vir verskriklike dinge van nag
 Ps 118:6 Jehovah aan my kant. Ek is nie b.
 Spr 29:25 vir mense b., 'n strik
 Jes 41:10 Moenie b. wees, ek is met jou
 Mi 4:4 niemand sal hulle b. maak
 Lu 21:25 nasies b., nie weet wat om te doen
 Flp 1:28 nie deur teenstanders b. gemaak
 Op 2:10 nie b. wees vir dinge wat jy gaan ly
BARNABAS, Han 9:27 B. het hom kom help en
BARUG, Jer 45:2 wat Jehovah oor jou sê, B.
BASIESE DINGE, Ga 4:9 terugkeer na b.
BATSEBA, 2Sa 11:3 B., die vrou van Uria
BEDEK, Lu 8:17 niks b. wat nie geopenbaar sal word
 1Kor 11:6 as vrou nie hoof b.
BEDERF, Spr 29:21 As b. word, sal ondankebaar word
BEDIENAARS, 2Kor 3:6 bekwaam om b. te wees
 2Kor 6:4 beveel onself as God se b. aan
BEDIENING, Han 20:24 my loopbaan en b. voltooi
 Ro 11:13 heg groot waarde aan b.
 2Kor 4:1 hierdie b. deur genade
 2Kor 6:3 sodat daar nie met b. foutgevind word
 1Ti 1:12 b. aan my toegewys, my getrou beskou
 2Ti 4:5 b. ten volle uitvoer
BEDIENINGSKNEGTE, 1Ti 3:8 b. moet
BEDRIEGLIK, Spr 3:32 Jehovah haat mense wat b. is
 Mal 2:15 nie b. optree teenoor vrou van jeug
BEDRIEGLIKER, Jer 17:9 hart is b. as
BEDROEF, Ef 4:30 God se heilige gees b.
BEDROG, Le 19:13 mag nie b. pleeg
 Ps 34:13 Hou lippe weg van b.
 Ef 4:25 laat b. agter, praat die waarheid
BEDRYWIGHEID, 1Pe 1:13 Berei verstande voor vir b.
BEELD, Ge 1:26 mense na ons b. maak
 Eks 20:4 mag nie b. maak

Da 2:31 U het groot b. gesien
 Da 3:18 ons sal nie goue b. aanbid
BEEN, Ge 2:23 uiteindelik b. van my gebeente
 Spr 25:15 vriendelike tong kan b. breek
BEENDERE, 2Kn 13:21 man raak aan b. van Elisa
BEER, 1Sa 17:37 my van leeu en b. gered
 Jes 11:7 koei en b. sal saam wei
BEGEER, Eks 20:17 nie medemens se vrou b. nie
BEGEERTE, Ps 51:12 Gee my b. om u te gehoorsaam
 Ps 145:16 bevredig b. van alles wat lewe
 Ro 1:27 mans b. vir mekaar
 Ga 5:16 sal geen vleeslike b. uitvoer
 Flp 2:13 Hy gee julle die b. en krag
 Jak 1:14 deur sy eie b. gelok en verlei
 1Jo 2:16 b. van vlees en b. van oë
BEGERTES, Ps 37:4 sal jou b. van hart gee
 Ro 1:26 onbeheerste seksuele b.
 Ro 16:18 slawe van hulle eie b.
 Ef 2:3 volgens b. van vlees
 Kol 3:5 onbeheerste seksuele b.
 1Te 4:5 nie deur gierige, onbeheerste seksuele b.
 2Ti 2:22 Vlug vir b. van jeug
 1Pe 2:11 nie swig voor vleeslike b.
BEGIN, Jes 46:10 Van b. af voorspel ek uiteinde
 Sag 4:10 dag van klein b. as onbelangrik beskou?
 Mt 24:8 hierdie dinge is b. van baie moeilike tyd
 Mt 25:34 Koninkryk van b. van mensdom voorberei
BEGINSEL, Ga 6:16 ordelik volgens hierdie b. lewe
BEGRIP, Spr 3:5 moenie op eie b. staatmaak
 Spr 4:7 maak seker dat jy ook b. verkry
 Da 11:33 sal baie mense help om b. te verkry
BEHEER, Spr 10:19 een wat lippe b., verstandig
 Spr 16:32 hy wat woede b., beteer
 1Kor 6:12 sal my nie deur enigiets laat b.
 1Te 4:4 weet hoe om liggaam onder b. te hou
BEHOORT, Ro 14:8 as ons sterf, b. ons aan Jehovah
 1Kor 6:19 julle b. nie aan julleself
BEKEND GEMAAK, Eks 9:16 my naam b. kan word
BEKENDMAKING, Heb 10:23 openbare b. van hoop
BEKER, Mt 20:22 b. drink wat ek gaan drink?
 Lu 22:20 b. beteken nuwe verbond
 Lu 22:42 as u wil, neem b. weg
 1Kor 11:25 dieselfde met b. gedoen
BEKOMMER, Lu 12:25 ef by lewe voeg deur te b.?
BEKOMMERD, Mt 6:34 nooit b. oor volgende dag
 Mt 10:19 nie b. oor wat julle moet sê
 Flp 4:6 Moet oor niks b. wees
BEKOMMERNISSE, Mr 4:19 b. van hierdie wêreld
 Lu 8:14 deur b. en rykdom afgelei
 Lu 21:34 harte oorweldig deur b.
 1Kor 7:32 wil hê julle moet sonder b. wees
BEKWAAM, 2Kor 3:5 God maak ons b.
 2Ti 2:2 b. om ander te onderrig
BEKWAME, Eks 18:21 b., betroubare manne kies
BELAAI, Lu 11:46 julle b. mense met vragte
BELANG, 1Kor 13:5 [liefde] soek nie sy eie b.
BELANGE, Flp 2:4 nie net aan eie b. dink
 Flp 2:21 ander soek eie b.
BELANGRIKE, 1Kor 1:26 nie baie was uit b. familie
BELANGRIKER, Mt 23:23 b. sake van Wet, genade en
 Flp 1:10 seker maak van b. dinge
BELASTING, Lu 20:22 b. aan keiser betaal of nie?
 Lu 23:2 verbied mense om b. aan keiser te betaal
 Ro 13:6 Daarom betaal julle ook b.
 Ro 13:7 Betaal b. aan een wat b. vra
BELASTINGGAARDER, Mt 18:17 vir jou soos b. wees
 Lu 18:11 ek dank u dat ek nie soos hierdie b. is

BELEDIG, Mt 5:11 Gelukkig wanneer mense julle b.
1Pe 2:23 Toe b., nie terug b.

BELEDIGENDE TAAL, Ef 4:31 woede, geskree en b.

BELOFTE, Ps 15:4 Hy hou b., al is dit sleg vir hom
Heb 10:23 een wat b. gemaak het, is getrou

BELOFTES, 1Kn 8:56 Nie een woord van b. onvervuld
2Kor 1:20 b. van God ja deur hom

BELONER, Heb 11:6 hy word b. van dié wat hom soek

BELONING, Kol 3:24 erfenis as b. van Jehovah

BELOON, Rut 2:12 Mag Jehovah jou b.

BELSASAR, Da 5:1 Koning B. het feesmaal gehou

BELY, Ps 32:5 Uiteindelik sonde aan u b.
Spr 28:13 persoon wat b., ontvang genade
Jak 5:16 B. sondes aan mekaar
1Jo 1:9 As ons sondes b., vergewe hy

BENADEEL, 1Kor 6:7 laat julle eerder b. word

BENE, Ps 34:20 bewaar al sy b., nie een gebreek nie
Joh 19:36 Nie een van sy b. sal gebreek word nie

BEOEFEN, 1Jo 3:6 in eenheid met hom, b. nie sonde

BEPEINISING, Ps 19:14 b. van hart aangenaam wees

BEPEPKINGS, 1Kor 7:35 sê dit nie om b. te plaas

BEREID, Eks 19:8 wat Jehovah sê, b. om te doen

BEREKEN, Lu 14:28 gaan b. eers koste

BERG, Ps 24:3 Wie mag na b. van Jehovah opgaan?
Jes 2:3 laat ons opgaan na b. van Jehovah
Jes 11:9 sal niks slegs doen op my heilige b.
Da 2:35 groot b. geword, aarde ge vul

BERGE, Ge 7:20 waters het bo b. gestyg

BERIG, Spr 25:25 Goeie b. uit ver land

BEROEMD, Ge 11:4 sodat ons b. kan word

BEROOF, Le 19:13 jy mag niemand b. nie
Heb 10:34 vreugde behou toe van besittings b. is

BEROU, Lu 3:8 Bring vrugte voort wat by b. pas
Lu 15:7 hemel vreugde oor sondaar wat b. toon
Han 3:19 Toon b. en draai om sodat
Han 17:30 alle mense moet b. toon
Han 26:20 werke doen wat by b. pas
Ro 2:4 God wil jou help om b. te toon
2Kor 7:10 hartseer volgens God se wil, lei tot b.
Op 16:11 God gelaster, nie b. getoon

BES, 2Ti 2:15 Doen b. om God se goedkeuring te hê
2Pe 3:14 b. doen om vlekkeloos bevind te word

BESALEEL, Eks 31:2 ek het b. gekies

BESIGHEID, Mt 22:5 nie gesteur, weggegaan na b.
Jak 4:13 ons sal b. doen en wins maak

BESINNING, 1Kn 8:47 tot b. kom en terugkeer

BESITTING, Heb 10:34 beter b. wat permanent is

BESITTINGS, Lu 14:33 nie dissipel as nie b. opgee
Heb 10:34 vreugde behou toe van b. beroof is

BESKEIDENHEID, 1Ti 2:9 vrouens versier met b.

BESKEIE, Spr 11:2 wysheid by dié wat b. is
Mi 6:8 b. wandel met jou God!

BESKERM, Spr 4:23 B. jou hart, want

BESKERMING, Pr 7:12 wysheid is b. soos geld
Sef 3:12 in naam van Jehovah b. soek
Flp 3:1 skryf dieselfde dinge, dit is vir julle 'n b.

BESKULDIGER, Op 12:10 b. van broers neergegooi

BESKULDIGING, Ro 8:33 Wie sal 'n b. maak teen
1Ti 5:19 Moenie b. teen ouer man aanvaar
Tit 1:7 opsiener moet vry van b. wees

BESLUIT, Han 15:25 saam b. om manne te stuur
1Kor 7:5 saam b. om van omgang te weerhou

BESLUITELOOS, 1Kn 18:21 Hoe lank b. bly?

BESLUITELOOSE, Jak 1:8 Hy is 'n b. mens, onstabiel

BESNY, 1Kor 7:19 b. te wees, nie belangrik

BESNYDENIS, Ro 2:29 b. van hart deur gees

BESOEDEL, 2Kor 7:1 ons reinig van alles wat b.

BESOEK, Han 15:36 b. broers, sien hoe dit gaan

BESORG, 1Kor 7:32 ongetroude b. oor dinge van Here
1Kor 12:25 liggaamsdele oor mekaar b.
2Kor 11:28 b. oor al die gemeentes

BESPOEDIG, Jes 60:22 Ek, Jehovah, sal dit b.

BESPOT, Lu 18:32 sal b. en mishandel word
Ga 6:7 God laat hom nie b. nie

BESPOTTING, Jer 20:7 Ek het b. geword

BESPREEK, Spr 15:22 Planne misluk as saak nie b.

BESTAAN, Joh 7:28 Een wat my gestuur, b. werklik

BESTUURDER, Lu 12:42 Wie is werklik getroue b.?
BESTUURDERS, 1Kor 4:2 b. moet getrou wees

BETAAL, Mt 22:21 B. wat aan keiser behoort

BETALING, Ge 31:7 my b. tien keer verander
Ro 6:23 b. vir sonde is die dood

BET-EL, Ge 28:19 plek B. genoem

BETER, 1Kor 12:31 weg wat b. is as enigets anders

BETLEHEM, Mi 5:2 B. Efrata, uit jou sal

BETROUBAAR, Ps 19:7 herinnering van Jehovah b.
Ps 33:4 alles wat Jehovah doen, b.
Tit 2:10 moet bewys dat heeltemal b. is

BETROUBARE, Eks 18:21 bekwame, b. manne kies

BEVEEL, Han 5:28 uitdruklik b. om op te hou

BEVOORDEEL, Jes 48:17 jou leer om jousef te b.
Ro 15:2 doen wat ons kan om naaste te b.

BEWEEG, Eks 35:21 hart hulle b., bydrae gebring

BEWONERS, Jes 40:22 b. is soos sprinkane

BEWOON, Jes 45:18 aarde gemaak om b. te word

BEWYS, Han 17:3 verduidelik en deur verwysings b.

BID, 2Kn 19:15 Hiskia het begin b.
Da 6:13 hy b. drie keer per dag
Mt 5:44 b. vir mense wat julle vervolg
Mt 6:9 Julle moet dan sô b.:
Mr 1:35 Vroeg gegaan en begin b.
Mr 11:24 alles waarvoor julle b., reeds ontvang
Lu 5:16 dikwels na verlate plekke gegaan om te b.
Han 12:5 Petrus in tronk, gemeente b.
Ro 8:26 weet nie waarvoor ons behoort te b.
1Te 5:17 B. sonder ophou
2Te 3:1 hou aan om vir ons te b., dat die woord
1Ti 2:1 b. vir alle soorte mense

BIED, Ro 6:13 B. julleself vir God aan

BILEAM, Nu 22:28 donkie vir B. gesê

BIND, Mt 16:19 op aarde b., in hemel gebind

BINNE, Ro 7:22 Die mens wat ek van b. is

BINNEKAMERS, Jes 26:20 Gaan in b. in, my volk

BITTER, Kol 3:19 moenie vir hulle b. kwaad wees nie

BITTERLIK, Mt 26:75 buitentoeg gegaan en b. gehuil

BLARE, Ese 47:12 hulle b. as genesing
Mt 24:32 Sodra sy takkies b. kry, weet julle

BLES, Le 13:40 As 'n man b. word, is hy rein

BLINDE, Le 19:14 mag nie iets voor b. persoon sit
Mt 15:14 Hulle is b. gidse

BLINDES, Jes 35:5 oë van die b. sal kan sien

BLINDHEID, Ge 19:11 het die manne met b. getref

BLOED, Ge 9:4 b. – mag julle nie eet nie
Le 7:26 Julle mag geen b. eet nie
Le 17:11 lewe van die vlees is in die b.
Le 17:13 moet b. uitgooi en met stof bedek
Ps 72:14 hulle b. is kosbaar in sy oë
Mt 26:28 beteken my b. van die verbond
Mt 27:25 Ons neem verantwoordelijkheid vir sy b.
Han 15:29 Weerhou julle van b.
Han 20:26 ek is rein van die b. van alle mense
Han 20:28 met die b. van sy eie Seun gekoop
Ef 1:7 bevry deur 'n losprys, deur sy b.

1Pe 1:19 met kosbare **b.** van Christus
 1Jo 1:7 **b.** van Jesus reinig ons van sonde
 Op 18:24 in haar is die **b.** van heiliges gevind
BLOEDVLOEIING, Mt 9:20 12 jaar lank aan **b.** gely
BLOEI, 1Kor 7:36 verby die **b.** van jeug
BLOMME, Jes 35:1 woestyn sal vol **b.** wees
BLY, 1Kr 29:9 volk **b.** oor vrywillige bydraes
 Spr 27:11 Wees wys, my seun, maak my hart **b.**
 Ese 18:32 Dit maak my noot **b.** as iemand sterf
 Han 5:41 van Sanhedrin af weggegaan, was **b.**
 Ro 5:3 laat ons **b.** wees terwyl ons swaarkry
 Ro 12:12 Wees **b.** oor die hoop
 Ro 12:15 Wees **b.** saam met mense wat **b.** is
 Flp 3:1 wees altyd **b.** in die Here
 Flp 4:4 Wees altyd **b.** in die Here. Wees **b.**!
 Kol 1:10 sodat julle Jehovah in alles **b.** maak
BLYDSKAP, Ps 100:2 Dien Jehovah wat **b.** maak
BOEK, Eks 32:33 ek sal hom uit my **b.** uitwis
 1Kor 13:5 hou nie **b.** van slegte dinge
 Op 20:15 nie in **b.** van lewe geskryf nie
BOEKE, Pr 12:12 geen einde aan die maak van baie **b.**
 Han 19:19 hulle **b.** voor almal verbrand
BOEKROLLE, Op 20:12 voor troon, **b.** oopgemaak
BOKKE, Mt 25:32 herder skei skape van **b.**
BOME, Jes 61:3 groot **b.** van regverdigheid
 Ese 47:12 Allerhande **b.** vir voedsel, albei oewers
 Op 22:14 die reg hê om na **b.** van lewe te gaan
BOODSKAPPER, Mal 3:1 Ek stuur my **b.**
BOOM, Ge 2:9 **b.** van kennis van goed en sleg
 Ge 2:9 **b.** van lewe in middel van tuin
 Ps 1:3 soos **b.** wat by waterstrome geplant is
 Da 4:14 Kap **b.** af, kap sy takke af
 Op 2:7 toelaat om van **b.** van lewe te eet
BORG, Spr 11:15 iemand wat **b.** staan
 Spr 17:18 ooreenkomst, stem in om **b.** te staan
BORS, Jes 40:11 hy sal hulle teen sy **b.** dra
BORSPLAAT, Ef 6:14 **b.** van regverdigheid
BORSTE, Spr 5:19 Laat haar **b.** jou vreugde gee
BOU, Ps 127:1 As Jehovah die huis nie **b.** nie
 Jes 65:21 sal huise **b.** en daarin woon
 Ro 14:19 alles doen om mekaar op te **b.**
 1Kor 3:10 Elkeen aandag skenk aan hoe hy **b.**
 1Kor 8:1 Kennis maak trots, liefde **b.** op
 1Kor 10:23 toelaatbaar, maar nie alles **b.** op nie
BRANDOFFER, Le 7:37 **b.**, graanoffer, sonde-offer
BRANDOFFERS, Jes 1:11 genoeg gehad van julle **b.**
BROEDERLIEFDE, Ro 12:10 Betoon **b.** teenoor mekaar
BROER, Spr 17:17 is 'n **b.** gedurende moeilike tye
 Spr 18:24 vriend wat lojaler is as 'n **b.**
 1Kor 5:11 wat 'n **b.** genoem word maar onsedelik is
BROERS, Mt 13:55 sy **b.** Jakobus en Josef en
 Mt 23:8 julle almal is **b.**
 Mt 25:40 vir een van my **b.** gedoen, vir my gedoen
 1Pe 5:9 hele gemeenskap van julle **b.**
BRON, Ps 36:9 By u is die **b.** van lewe
 Jer 2:13 het my, die **b.** van lewendende water, verlaat
BROOD, Ne 9:15 U het hulle **b.** uit die hemel gegee
 Ps 37:25 of dat sy kinders **b.** soek nie
 Jes 55:2 Hoekom betaal julle vir wat nie **b.** is nie?
 Mt 4:4 mens moenie van **b.** alleen lewe nie
 Mt 6:11 Gee ons vandag ons **b.** vir hierdie dag
 Mt 26:26 Jesus het **b.** geneem, dit gebreek
 Joh 6:35 Ek is die **b.** van die lewe
 1Kor 10:17 daar is een **b.**, ons almal eet daardie **b.**
BRUID, Op 21:9 sal jou die **b.**, Lam se vrou, wys
BUIITE, 1Kor 5:13 terwyl God mense oordeel wat **b.** is?
BUITESTANDERS, Kol 4:5 wys gedra teenoor **b.**

BUL, Eks 21:28 As **b.** man of vrou stoot
 De 25:4 nie **b.** se bek toebind op dorsvloer nie
 Op 7:22 agter haar aan, soos **b.** wat geslag word
BULLE, Ho 14:2 lof offer soos ons jong **b.** offer
 1Kor 9:9 is God bekommerd oor **b.**?
BURGERSKAP, Flp 3:20 ons **b.** is in die hemel
BYDRAES, 1Kr 29:9 volk was bly oor vrywillige **b.**
 2Kr 31:10 **b.** begin bring
BYEENKOMSTE, Le 23:4 Dit is die heilige **b.**
BYMEKAAR, Ef 1:10 om alles **b.** te bring in Christus
BYT, Ga 5:15 as julle aanhou om mekaar te **b.**
BYVROUENS, 1Kn 11:3 700 vrouens en 300 **b.**

C

CHRISTENE, Han 11:26 volgens God se wil **C.** genoem
CHRISTUS, Mt 16:16 U is die **C.**, die Seun van
 Lu 24:26 Moes **C.** nie hierdie dinge duurmaak nie?
 Joh 17:3 een wat u gestuur het, Jesus **C.**
 Han 18:28 uit Skrif gewys Jesus is **C.**
 1Kor 11:3 God is die hoof van **C.**
CHRISTUSSE, Mt 24:24 valse **c.** en valse profete

D

DAG, Ps 84:10 'n **d.** in u voorhore is beter
 Ese 4:6 'n **d.** vir 'n jaar, 'n **d.** vir 'n jaar
 Mt 24:36 Niemand weet daardie **d.** en uur nie
 2Pe 3:8 Een **d.** is soos 'n duisend jaar
DAG VAN JEHOVAH, Jl 2:1 die **d.** kom! Dit is naby!
 Am 5:18 Wat sal die **d.** vir julle beteken?
 Sef 1:14 Die groot **d.** is naby! Dit is naby en
 2Te 2:2 dat die **d.** hier is
 2Pe 3:12 **d.** goed in gedagte hou
DANK, Ps 92:1 goed om Jehovah te **d.**
 Ps 95:2 voor hom kom om hom te **d.**
 Joh 11:41 Vader, ek **d.** u dat u geluister het
 1Kor 1:4 Ek **d.** my God altyd vir julle omdat
 Ef 5:20 **d.** God vir alles
DANKBAAR, Kol 3:15 toon dat julle **d.** is
 1Ti 1:12 Ek is **d.** teenoor Christus Jesus
DANS, Rig 11:34 dogter het uitgekóm terwyl sy **d.**
DAWID, 1Sa 16:13 Samuel het **D.** gesalf
 Lu 1:32 die troon van sy vader **D.**
 Han 2:34 **D.** het nie na hemel opgevaar
DEEL, Klg 3:24 Jehovah is my **d.**
 Da 12:13 jy sal ontstaan om jou **d.** te ontvang
 Ro 12:13 **D.** volgens wat hulle nodig het
DEMONE, Mt 8:28 twee mans uitgekóm; **d.** in hulle
 1Kor 10:20 nasies offer aan **d.**
 1Kor 10:21 aan tafel van **d.** eet
 Jak 2:19 **d.** glo en bewes van vrees
DEMOON, Han 16:16 **d.** in haar, toekomstige voorspel
DENARIJ, Lu 7:41 een het 500 **d.** geskuld
DENKE, 1Kor 2:16 ons het die **d.** van Christus
 1Kor 14:20 word volwasse in julle **d.**
DENKVERMOE, Spr 1:4 gee jong man **d.**
DENKWYSE, Ef 4:23 nuwe **d.** aanleer
DEUR, 1Kor 16:9 groot **d.** tot bedrywigheid
 Op 3:20 Ek staan by die **d.** en klop
DEURBOOR, Sag 12:10 kyk na een wat hulle **d.** het
DEURE, Joh 20:19 **d.** was gesluit, Jesus het gekóm
DEURMEKAAR, 2Te 2:2 Moenie gou **d.** gemaak word
DEURSOEK, 1Kr 28:9 Jehovah **d.** harte
 2Kr 16:9 oë van Jehovah **d.** aarde
DIEF, Spr 6:30 as **d.** steel omdat hy honger
 Spr 29:24 handlanger van **d.** haat homself
 Mt 24:43 As gewet het hoe laat **d.** kom
 1Te 5:2 dag kom soos **d.** in nag

DIEN, Jos 24:15 kies wie julle gaan d.
 1Kr 28:9 met jou hele hart en vreugdevolle siel d.
 Ps 100:2 D. Jehovah met blydskap
 Da 7:10 duisende het hom bly d.
 Mt 20:28 Seun van mens gekom om te d.
 1Pe 4:10 Gebruik gawe om mekaar te d.

DIENAAR, 1Sa 2:11 seun d. van Jehovah
 Mr 10:43 iemand groot wil wees, moet d. wees

DIEP, Ro 11:33 Hoe d. is God se rykdom en wysheid
 1Kor 2:10 die gees ondersoek d. dinge van God

DIEPSTE, Op 2:23 ek deursoek d. gedagtes

DIEPTE, Ef 3:18 breedte, d. ten volle verstaan

DIER, Ge 7:2 sewe van elke soort rein d.
 Le 18:23 seksuele omgang met d.

DIERE, Le 26:6 gevaarlike d. uit land verdwyn
 Spr 12:10 regverdig sorg vir sy d.
 Pr 3:19 mens en d., dieselfde uiteinde
 Ese 34:25 sal gevaarlike d. uit land laat verdwyn
 Da 7:3 vier yslike d. uit see opgekrom
 Ho 2:18 verbond met wilde d.

DIIEWE, Mt 6:20 hemel, waar d. nie inbreek
 1Kor 6:10 d. sal Koninkryk nie erf nie

DIGTERS, Han 17:28 soos party van julle d. sê

DINA, Ge 34:1 D. het gewoonte gehad om te kuier

DINK, Job 14:13 tyd vasstel en aan my d.!
 Ps 8:4 wat is mens dat u aan hom d.?
 Spr 15:28 regverdig d. voordat antwoord
 Pr 12:1 D. aan Skepper terwyl jonk
 Ro 8:6 d. aan dinge van vlees, beteken dood
 Ro 12:3 nie meer van self d. as nodig
 Ro 15:1 moenie net aan onself d. nie
 Flp 2:3 Moenie te veel van julleself d. nie
 Flp 3:19 hulle d. net aan aardse dinge
 Kol 3:2 Bly d. aan dinge daar bo
 Heb 10:32 d. aan tyd toe groot stryd deurgemaak

DISSIPELS, Mt 28:19 maak d., al die nasies
 Joh 8:31 As aan my woorde getrou bly, is julle my d.
 Joh 13:35 weet dat julle my d. is – as julle liefde het

DISSILINE, Spr 17:2 dwase haat wysheid en d.
 Spr 3:11 moenie d. van Jehovah verwerp nie
 Spr 23:13 Moenie d. terughou van 'n kind nie
 Heb 12:11 geen d. lyk soos iets om oor bly te wees

DISSILINEER, De 8:5 God d. soos man sy seun d.
 Spr 13:24 wie seun nie d., haat hom
 Spr 19:18 D. jou seun terwyl daar nog hoop is
 Jer 30:11 in die regte mate d.
 Op 3:19 Almal vir wie ek lief is, d. ek

DOEL, Jes 55:11 my woord sal beslis d. bereik

DOEN, Ro 7:15 ek d. nie wat ek wil d. nie, maar
 Jak 1:22 d. wat die woord sê

DOGTER, Lu 8:49 U d. het gesterf!

DOGTERS, Jl 2:28 julle seuns en d. sal profeteer
 Han 21:9 vier ongetroude d. wat geprofeteer het
 2Kor 6:18 julle sal vir my seuns en d. word

DOKTER, Lu 5:31 Mense wat gesond, nie d. nodig

DONKERHEID, Sef 1:15 dag van duisternis en d.

DONKIE, Nu 22:28 Jehovah laat d. praat
 Sag 9:9 Jou koning ry op 'n d.

DOOD, Rut 1:17 as enigiets anders as d. my skei
 Ps 89:48 Watter man lewe sonder om d. te sien?
 Jes 25:8 Hy sal d. vir ewig wegneem
 Ho 13:14 Waar is jou angels, o D.?
 Lu 15:24 seun was d. en het lewend geword
 Joh 8:51 my woorde gehoorsaam, d. nooit sien
 Ro 5:12 d. het so na alle mense versprei
 Ro 6:23 betaling vir sonde is d.
 1Kor 15:26 laaste vyand, d. sal vernietig word
 Ef 2:1 lewend, al was julle d. weens sondes

Kol 3:5 Maak d. julle liggaamsdele
 1Te 4:13 nie oningelig wees oor dié wat slaap in d.
 1Te 4:16 d. in eenheid met Christus, eerste opstaan
 Heb 2:9 Jesus het d. vir elke mens ervaar
 Heb 2:15 slawe omdat hulle bang was vir d.
 Op 21:4 d. sal nie meer daar wees nie

DOODGEMAAK, Nu 35:6 iemand d., daarheen vlug

DOODMAAK, Joh 16:2 elkeen wat julle d., sal dink

DOODSVONNIS, 2Kor 1:9 gevoel asof ons d. ontvang

DOOIES, Pr 9:5 die d. weet absoluut niks nie
 Lu 20:38 nie 'n God van d., maar van lewendes
 Op 14:13 Gelukkig d. wat in eenheid met Here sterf

DOOP, Mt 28:19 maak dissipels d. hulle
 Lu 3:3 d. as simbool van berou
 Ro 6:4 met hom begrawe deur d. in sy dood
 1Pe 3:21 D. red julle nou

DOPGEHOU, Kol 3:22 nie net wanneer d. word

DORING, 2Kor 12:7 d. in die vlees

DORINGBOS, Han 7:30 in brandende d. verskyn

DORINGS, Mr 15:17 kroon van d. gevleg

DORKAS, Han 9:36 dissipel met die naam Tabita, D.

DORS, Jes 49:10 Hulle sal nie d. wees nie
 Jes 55:1 Kom, almal wat d. is!
 Joh 7:37 As iemand d. is, laat hom na my kom

DOU, De 32:2 my woorde sal drup soos d.

DOUDRUPPELS, Ps 110:3 jong manne soos d.

DOWE, Le 19:14 mag nie 'n d. persoon vervloek

DOWES, Jes 35:5 ore van d. sal kan hoor
 Mr 7:37 Hy laat selfs die d. hoor

DRA, Ro 15:1 ons wat sterk, swakhede d. van

DRAAK, Op 12:9 d. neergegooi, oorspronklike slang

DRAGMAS, Lu 15:8 het tien d. en sy verloor een

DRANKOFFER, Flp 2:17 soos 'n d. uitgegooi

DREIG, Han 4:17 Kom ons d. hulle en sê
 Ef 6:9 meesters, moet hulle nie d. nie

DRIE, De 16:16 D. keer per jaar moet al die mans
 Mr 14:30 d. keer sê dat jy my nie ken

DRINGEND, 2Ti 4:2 d. daarmee besig in goeie tye

DROEFHEID, Ps 31:10 lewe word deur d. verslind

DROEWIGE, Pr 7:3 d. gesig laat hart beter word

DROME, Pr 5:3 d. kom as gedagtes besig
 Da 2:1 Nebukadnesar het d. gehad

DRONK, Ef 5:18 moenie d. word nie

DRONKAARD, Spr 23:21 d. sal arm word
 1Kor 5:11 hou op assosieer met 'n d.

DRONKAARDS, 1Kor 6:10 d. sal Koninkryk nie erf

DROOGTE, Jer 17:8 in die jaar van d. nie angstig nie

DRUK, 2Kor 1:8 d., nie met eie krag verduur

DUIDELIK, Joh 1:18 het d. gemaak wie Hy is

DUIF, Mt 3:16 God se gees daal soos 'n d. neer

DUISEND, Ps 91:7 D. sal langs jou val
 Jes 60:22 kleine sal d. word
 2Pe 3:8 Een dag soos d. jaar

DUISTERNIS, Jes 60:2 d. sal die aarde bedek
 Jl 2:31 son sal in d. verander
 Mt 4:16 volk wat in d. sit, sien groot lig
 Joh 3:19 mense was liewer vir d.
 Ef 4:18 Hulle is verstandelik in d.
 1Pe 2:9 julle uit die d. groep

DUIWE, Mt 10:16 Wees onskuldig soos d.

DUIWEL, Mt 25:41 ewige vuur vir D. en sy
 Lu 4:6 D. sê, hierdie gesag is aan my gegee
 Lu 8:12 D. neem woord uit hart weg
 Joh 8:44 Julle is van julle vader die D.
 Ef 4:27 moenie D. geleentheid gee
 Ef 6:11 staan vas teen slinkse planne van D.
 Jak 4:7 staan D. tee, hy sal wegvlug

1Pe 5:8 D. loop rond soos brullende leeu
 1Jo 3:8 om werke van D. te vernietig
 1Jo 5:19 wêreld in mag van D.
 Op 12:12 sal sleg gaan, want D. het neergedaal
 Op 20:10 D. in poel van vuur gegooi
DULD, 2Kn 10:16 ek d. geen teenstand teen Jehovah
DWAAS, Ps 14:1 d. sê: Daar is geen Jehovah
DWAASHEID, Spr 22:15 D. sit vas in hart van kind
 1Kor 3:19 wysheid van wêreld d. by God

E

EEN, Ge 2:8 God tuin in E. geplant
EEN, 1Kor 8:6 e. God, die Vader, e. Here, Jesus
EENHEID, Ps 133:1 broers in e. bymekaar woon!
 Ef 4:3 e. van die gees bewaar
 Ef 4:13 totdat ons e. van geloof bereik
EER, Eks 20:12 E. jou pa en ma
 1Kr 16:25 Jehovah verdien al die e.
 Spr 3:9 E. Jehovah met waardevolle dinge
 Ro 12:10 Neem leiding om e. te betoon
 1Kor 10:31 doen alles tot e. van God
 1Ti 5:17 verdien dubbele e.
 2Pe 2:10 sleg praat van dié wat e. verdien
EERLIK, 2Kor 8:21 ons sien e. om na alles
 Heb 13:18 ons in alles e. gedra
ERSEGEBORENE, Eks 11:5 elke e. in Egipte sal sterf
 Kol 1:15 e. van hele skepping
ERSTE, Mt 19:30 baie wat e., sal laaste wees
 Mr 9:35 e. wil wees, moet laaste wees
 Ro 8:23 e. deel van beloning, die gees
ERVOLLE, 2Ti 2:20 houers vir 'n e. doel
EET, 1Kor 5:11 Moenie eers e. met so iemand
 2Te 3:10 nie werk nie, ook nie e. nie
EFESE, 1Kor 15:32 in E. met wilde diere geveg
EGBREUK, Eks 20:14 mag nie e. pleeg nie
 Mt 5:28 reeds in sy hart e. gepleeg
 Mt 19:9 iemand anders trou, pleeg e.
 1Kor 6:9 e. pleeg, sal nie Koninkryk erf nie
EGIPTE, Mt 2:15 Uit E. het ek my seun geroep
EGSKEIDING, Mal 2:16 ek haat e.
EIENDOM, Eks 19:5 sal my spesiale e. word
EINDE, Jes 2:2 Aan e. van die dae
 Mt 24:14 dan sal die e. kom
 Mt 28:20 ek met julle tot aan die e.
 Joh 13:1 Jesus sy volgelinge tot die e. liefgehad
EK SAL WORD, Eks 3:14 sê: E. het my gestuur
EKSELLENSIE, Han 24:3 E. Feliks
EL, Mt 6:27 Wie kan een e. by lewe voeg?
ELI, 1Sa 1:3 seuns van E., as priesters gedien
ELIA, Jak 5:17 E. mens met gevoelens soos ons
EMBRIO, Ps 139:16 U oë my as e. gesien
ENGEL, 2Kn 19:35 e. 185 000 doodgemaak
 Ps 34:7 e. van Jehovah slaan kamp op
 Da 3:28 e. gestuur en knegte gered
 Ho 12:4 [Jakob] het met 'n e. bly stoei
 Han 5:19 e. deure van tronk oopgemaak
 Han 12:11 e. gestuur en my gered
ENGELE, Ge 28:12 e. daar op- en afgeklim
 Job 4:18 hy vind fout met sy e.
 Mt 13:41 e. stuur, mense bymekaarmaak
 Mt 22:30 hulle is soos e. in hemel
 Mt 24:31 e. dié wat uitgekies, bymekaarmaak
 1Kor 4:9 teaterskouspel vir e.
 1Kor 6:3 Weet julle nie ons sal e. oordeel?
 Heb 13:2 party het e. gasvry ontvang
 1Pe 1:12 e. getrig om te verstaan
 Jud 6 e. wat nie posisie behou het

ENIGGEBORE, Joh 1:18 e. god duidelik gemaak wie
 Joh 3:16 e. Seun gegee, sodat
EPILEPSIE, Mt 4:24 aan e. gely en verlam, genees
ERF, Mt 25:34 e. Koninkryk wat vir julle voorberei
ERFDEEL, Nu 18:20 Ek is jou deel en jou e.
 Ps 127:3 Seuns e. van Jehovah
ERFENIS, Ef 1:18 glorieryke rykdom as e. vir heiliges
 1Pe 1:4 e. wat nie vernietig kan word nie
ERFGENAME, Ro 8:17 e. van God, mede-e. met
 Ga 3:29 Abraham se nageslag, e. volgens 'n belofte
ESAU, Ge 25:34 E. geen waarding vir geboortereg
 Heb 12:16 heilige dinge nie waardeer nie, soos E.
ESRA, Esr 7:11 die priester E., baie goed bekend met
EUNUG, Han 8:27 daar was 'n Etiopiese e.
EUNUGS, Jes 56:4 e. kies om te doen wat hy wil hê
 Mt 19:12 daar is e. wat so gebore is
EUODIA, Flp 4:2 Ek vra E. en Sintige om
EVANGELIEPREDIKER, Han 21:8 Filippus, die e.
 2Ti 4:5 doen die werk van 'n e.
EWIG, Ge 3:22 nie eet en vir e. lewe nie
 Ps 37:29 vergerdiges vir e. op aarde lewe
 Pr 3:14 alles wat God maak, sal vir e. bestaan
 1Pe 1:25 woord van Jehovah bly vir e.
 1Jo 2:17 wil van God doen, bly vir e.
EWIGE LEWE, Da 12:2 wakker word, sommige tot e.
 Lu 18:30 in hierdie tyd baie keer soveel en e.
 Joh 3:16 nie vernietig word nie, maar e. hê
 Joh 17:3 Om e. te ontvang, moet hulle u leer ken
 Han 13:48 regte gesindheid vir e.
 Ro 6:23 die gawe wat God gee, is e.
 1Ti 6:12 kry stewige houvas op e.
EWIGHEID, Pr 3:11 selfs e. in hulle hart gesit

F

FAMILIE, Ef 3:15 elke f. sy naam te danke
FAMILIELEDE, Han 10:24 Kornelius f. geroep
FEESMAAL, Jes 25:6 f. met geregte, f. met wyn
FILIPPUS, Han 8:26 Jehovah se engel vir F. gesê
 Han 21:8 F., evangelieprediker, een van sewe
FILOSOFIE, Kol 2:8 vang deur middel van f.
FILOSOWE, Han 17:18 Epikuriëse en Stoïsinse f.
FISIESE, 1Kor 2:14 f. mens aanvaar e.
FOLTERPAAL, Mt 10:38 nie f. aanvaar en my volg
 Mt 16:24 ophou vir homself lewe en sy f. optel
 Lu 9:23 dag ná dag f. optel
FONDAMENT, Lu 6:48 f. op die rots gelê
 Ro 15:20 nie op iemand anders se f. bou
 1Kor 3:11 geen ander f. as Christus
 1Pe 5:10 God sal julle stewige f. gee
FORTUINVERTELLERS, Le 19:31 nie f. gaan sien
FRAINGRAND, Nu 15:39 moet hierdie f. hê
FUNKSIE, Ro 12:4 baie ledemate, nie dieselfde f.
FUNKSIONEER, Ef 4:16 As elke deel behoortlik f.

G

GAAN UIT, Op 18:4 G. haar uit, my volk
GABRIËL, Lu 1:19 G., in teenwoordigheid van God
GAS, Ps 15:1 wie mag g. in u tent wees?
GASVRY, Ro 12:13 Wees altyd g.
 Tit 1:7, 8 opsiener moet g. wees
 1Pe 4:9 Wees g. sonder om te kla
 3Jo 8 verplig om g. te wees teenoor sulke mense
GASVRYHEID, Heb 13:2 Moenie g. vergeet nie
GAT, Spr 26:27 g. grawe, sal daarin val
 Mt 15:14 blinde ander blinde lê, albei in g. val
GAWE, Ro 6:23 g. wat God gee, is ewige lewe
 1Kor 7:7 elkeen het eie g. van God
 Jak 1:17 Elke goeie g. kom van God

GAWES, Ef 4:8 evangenes; **g.** in vorm van mense

GEBED, Ps 65:2 O Hoorder van **g.**

Ps 141:2 **g.** soos reukwerk wat voorberei is
Spr 15:8 **g.** van getroues vir hom aangenaam
Spr 28:9 selfs sy **g.** iets afskuweliks
Ro 12:12 Hou vol met **g.**

Jak 5:15 **g.** van geloof een wat siek, gesond maak

GEBEDE, 1Pe 3:7 nie na julle **g.** luister nie

Op 8:4 reukwerk met **g.** van heiliges

GEBEENTE, Jer 20:9 soos vuur, opgesluit in my **g.**

GEBOD, Mr 12:28 Wat is heel eerste **g.**?

Mr 12:31 geen **g.** belangriker as hierdie twee

Joh 13:34 nuwe **g.**, mekaar liefhé

GEBOOIE, Mt 22:40 Wet op twee **g.** gebaseer

GEBOORTE, Ps 51:5 skuldig van **g.** af

Jes 66:7 Voor geboortepyne het sy **g.** gegee

1Pe 1:3 nuwe **g.**, 'n lewendende hoop

GEBOU, Lu 17:28 hulle het geplant, hulle het **g.**

GEBREEK, Ps 34:18 Jehovah naby dié wie se hart **g.**

Ps 147:3 Hy genees dié wie se hart **g.** is

GBREK, Le 22:21 Dier moet geen **g.** hê

GEBROKE, Ps 51:17 offerande vir **g.**, **g.** gees

Spr 18:14 wie kan uthou as **g.** gees het?

Jes 57:15 woon by dié wat **g.** en nederig is

Jes 66:2 my oë op een wat nederig is en **g.** gees het

GEBRUIK, 1Kor 7:31 wêreld **g.**, nie ten volle **g.**

GEDAGTE, Na 1:7 hou dié in **g.** wat beskerming soek

2Kor 10:5 elke **g.** gehoorsaam maak aan

Op 17:17 in harte gesit om sy **g.** uit te voer

GEDAGTES, Ps 26:2 Suiwer my diepste **g.**

Ps 139:17 Hoe kosbaar is u **g.**!

Ps 146:4 Op daardie dag kom sy **g.** tot einde

Spr 20:5 **g.** van man se hart soos diep waters

Jes 55:8 my **g.** is nie julle **g.** nie

GEDANK, Han 28:15 Paulus hulle sien, **God g.**

GEDEELTELIKE, 1Kor 13:9 ons het **g.** kennis

GEDENKBOEK, Mal 3:16 **g.** is geskryf

GEDENKGRAFTE, Joh 5:28 almal in **g.**, stem hoor

GEDISSIPLINEER, Ps 94:12 Gelukkig man deur u **g.**

GEDOOP, Mt 3:13 Jesus kom om **g.** te word

Han 2:41 **g.**, daardie dag omtrent 3 000 bygevoeg

Han 8:36 Wat keer my om **g.** te word?

GEDRA, Ga 5:25 in ooreenstemming met gees **g.**

1Pe 2:12 **G.** julle altyd goed onder nasies

GEDRAG, 1Pe 3:1 sonder woord deur **g.** gewen

1Pe 3:16 skaam as gevolg van julle goeie **g.**

GEDREIG, 1Pe 2:23 Toe gely het, het hy nie **g.**

GEDULD, Spr 25:15 Deur **g.** bevelvoerder oorreed

2Pe 3:15 die **g.** van ons Here as redding

GEDULDIG, Ne 9:30 U baie jare **g.**

Ro 9:22 God voorwerpe van woede **g.** verdra

1Kor 13:4 Liefde **g.** en goedhartig

1Te 5:14 wees **g.** met almal

Jak 5:8 wees **g.** Maak harte standvastig

2Pe 3:9 Jehovah is **g.** met julle

GEE, Ps 31:5 In u hand **g.** ek my gees

Spr 11:24 een wat baie **g.** en meer bykry

Han 20:35 gelukkig om te **g.** as om te ontvang

GEËER, Joh 12:43 eerder deur mense **g.** word as

GEE OM, 1Pe 5:7 want hy **g.** vir julle

GEES, Nu 11:25 van die **g.** op hom weggeneem

1Sa 16:13 **g.** vir Dawid krag gegee

2Sa 23:2 **g.** van Jehovah het deur my gepraat

Ps 51:10 plaas nuwe, standvastige **g.** in my

Ps 51:17 offerande vir **God, gebroke g.**

Ps 104:29 As u hulle **g.** wegneem, sterf hulle

Ps 146:4 **g.** gaan uit, hy keer terug na grond

Pr 12:7 **g.** keer terug na **God** wat dit gegee het

Jes 61:1 **g.** van Jehovah is om my

Jl 2:28 sal my **g.** op alle mense uitstort

Sag 4:6 Nie deur krag, maar deur my **g.**

Mt 3:16 **God se g.** soos duif neergedaal

Mt 12:31 teen **g.** laster, sal nie vergewe word

Mt 26:41 **g.** gretig, maar vlees swak

Lu 23:46 in u hande gee ek my **g.**

Joh 4:24 **God is G.**, aanbied met **g.** en

Joh 16:13 **g.** van waarheid sal julle lei

Ro 8:16 **g.** getuig met ons **g.**

Ro 8:26 **g.** pleit vir ons

2Kor 3:17 Jehovah is die **G.**

Ga 5:16 Hou aan om leiding van **g.** te volg

Ga 5:22 vrug van **g.** is liefde

Ga 6:8 saai met oog op **g.**

1Pe 3:18 lewend gemaak in **g.**

GEESMAGTE, Ef 6:12 stryd teen bose **g.**

GEESTE, De 18:11 persoon wat **g.** oproep

GEESTELIK, Ga 6:1 julle wat **g.** volwasse is

GEESTELIKE, Ro 1:11 **g.** gawe aan julle oordra

1Kor 2:15 **g.** mens ondersoek alle dinge

1Kor 15:44 word as **g.** liggaam opgewek

GEFLOUS, Jer 20:7 U het my **g.**, o Jehovah

GEGEE, Lu 12:48 baie **g.**, baie sal vereis word

GEGLO, 2Te 2:12 hulle nie waarheid **g.** nie, maar

GEHAAT, Ps 45:7 U het goddeloosheid **g.**

Mt 24:9 **g.** as gevolg van my naam

Joh 15:25 Hulle het my sonder rede **g.**

GEHARDLOOP, Ga 5:7 goed **g.** Wie het julle gekeer

GEHASI, 2Kn 5:20 **G.**, agter hom aan hardloop

GEHEG, Mt 10:37 Enigiemand wat meer **g.** is aan

GEHEILIG, 1Kn 9:3 Ek het hierdie huis **g.**

Jer 1:5 voordat jy gebore is, het ek jou **g.**

Lu 11:2 Vader, laat u naam **g.** word

GEHEIM, Spr 28:13 oortredings **g.** hou

Flp 4:12 **g.** geleer om versadig te wees

GEHEIME, Ps 91:1 **g.** plek van Allerhoogste

GEHENNA, Mt 10:28 siel en liggaam in **G.** vernietig

GEHOORSAAM, Eks 24:7 alles wat Jehovah sê, **g.**

1Sa 15:22 **g.** te wees, beter as offerande

Ps 51:12 Gee my begeerte om u te **g.**

Mt 28:20 leer hulle om alles te **g.**

Joh 14:15 my liefhet, my geboorte **g.**

Han 5:29 eerder aan **God g.** as mense

Ro 6:17 uit die hart **g.** geword

Ro 16:26 deur geloof **g.** kan wees

Ef 6:5 Slawe, wees **g.** aan julle meesters

Flp 2:8 **g.** geword tot die dood toe

Heb 13:17 Wees **g.** aan dié wat leiding neem

GEHOORSAAMHEID, Ro 5:19 regverdig deur **g.** van

Heb 5:8 **g.** geleer uit dinge wat hy gely

GEHOORSAAME, 1Kn 3:9 Gee vir u kneg **g.** hart

GEHUIL, Ps 6:6 rusbank oorstrom deur my **g.**

Jes 65:19 **G.** nie meer in haar gehoor word

Ho 12:4 **g.** en hom gesmeek om te sien

Mt 26:75 buitentoe gegaan en bitterlik **g.**

GEÏNSPIREER, 2Ti 3:16 hele Skrif **g.**

GEKEN, Ga 4:9 julle word deur **God g.**

GEKIES, Han 9:15 ek het [Paulus] **g.** om

GEKLAP, Joh 19:3 hom heeltyd in gesig **g.**

GEKNAKTE, Jes 42:3 nie **g.** riet breek

GEKOOP, 1Kor 7:23 Julle is met prys **g.**

Op 5:9 met u bloed het u mense **g.**

GELAG, Ge 18:13 Hoekom het Sara **g.**?

GELD, Pr 7:12 **g.** 'n beskerming, maar wysheid

Pr 10:19 **g.** voorsien in alle behoeftes

1Ti 6:10 liefde vir g. wortel van skadelike dinge
 Heb 13:5 vry wees van liefde vir g.
GELEENTHEID, Ga 6:10 g. het, goed doen aan almal
GELEER, Jes 54:13 al jou kinders deur Jehovah g.
 Flp 4:9 Hou aan doen wat julle g. het
GELEERDE, Lu 10:21 vir g. mense weggesteek
GELIEFDE, Da 9:23 jy is 'n baie g. man
 Mt 3:17 Dit is my g. Seun
GELOFTE, De 23:21 As jy g. aan Jehovah maak
 Rig 11:30 Jesta g. aan Jehovah gemaak
GELOOF, Ps 27:13 Waar wees as ek nie g. gehad?
 Lu 17:6 g. so groot soos mosterdsaadjie
 Lu 18:8 Seun van mens hierdie g. vind?
 Joh 3:16 elkeen wat g. in hom beoefen
 Han 26:11 probeer dwing om g. te verlaat
 Ro 1:17 regverdig sal deur g. lewe
 Ro 4:20 kragtig geword deur sy g.
 2Kor 4:13 ons beoefen g., daarom praat ons
 2Kor 5:7 deur g. gelei, nie deur wat ons sien
 Ef 4:5 een Here, een g., een doop
 2Te 3:2 g. nie iets wat alle mense besit nie
 1Ti 1:5 opregte g., ouma en ma eers gehad
 Heb 11:1 G. is die vaste vertroue dat
 Heb 11:6 sonder g. nie God se goedkeuring
 Heb 12:2 een wat ons in ons g. lei, Jesus
 Heb 13:7 volg hulle g. na
 Jak 1:3 g. lei tot volharding wanneer getoets
 Jak 2:26 g. sonder werke is dood
 1Pe 1:7 g., nadat dit getoets is
GELUID, Ps 19:4 hulle g. het oor hele aarde uitgegaan
 Jes 53:7 soos ooi wat nie g. maak voor skeerders
GELUKKIG, Ps 32:1 G. is een wie se sonde bedek word
 Ps 94:12 G. is man wat deur u gedissiplineer word
 Ps 144:15 G. is volk wie se God Jehovah is!
 Mt 5:3 G. is dié wat beseft dat hulle God nodig het
GELUKKIGE, 1Ti 1:11 goeie nuus van g. God
GELUKKIGER, Han 20:35 g. om te gee as ontvang
GELUKSGOD, Jes 65:11 die G.
GELYK, Flp 2:6 nooit oorweeg om aan God g. te wees
GELYKMAKING, 2Kor 8:14 daar sal g. wees
GEMEENSKAP, 1Pe 2:17 lief vir hele g. van broers
GEMEENTE, Ps 22:25 u loof in groot g.
 Ps 40:9 verkondig goeie nuus in groot g.
 Mt 16:18 op hierdie rots my g. bou
 Han 20:28 herders vir g. van God
 Ro 16:5 groet g. in hulle huis
GENADE, Spr 28:13 persoon wat bely, ontvang g.
 Jes 26:10 g. aan goddelose betoon, leer hy nie
 Jes 55:7 na Jehovah terugkeer, wat g. betoon
 Mt 9:13 g., nie offerandes nie
 2Kor 1:3 Vader van groot g.
 Jak 2:13 g. betoon, beter as om te oordeel
GENADIG, 1Kr 21:13 want hy is baie g.
 Ne 9:19 u was baie g., het hulle nie verlaat
 Ps 78:38 hy was g., het vergewe
 Mt 5:7 Gelukkig is dié wat g. is
 Lu 6:36 Hou aan g. wees, soos Vader
 Jak 5:11 Jehovah baie liefdevol en g.
GENADIGE, De 4:31 Jehovah, g. God
GENEES, 2Kr 36:16 geen hoop dat hulle g. kon word
 Ps 147:3 Hy g. dié wie se hart gebreek is
 Lu 4:23 Dokter, g. jouself
 Lu 10:9 g. siek mense, sê Koninkryk naby
 Han 5:16 hulle is almal g.
GENESEND, Spr 12:18 tong van wyses is g.
GENESING, Op 22:2 blare was vir g. van nasies

GENIET, Pr 2:24 niks beters as harde werk te g.
GENOEM, Ef 5:3 nie eers onder julle g. word
GENOOI, Mt 22:14 baie g., min uitgekies
GEOPENBAAR, Mt 11:25 aan jong kinders g.
 Ro 8:19 skepping wag dat seuns van God g.
 1Kor 2:10 God het dit deur sy gees aan ons g.
 Ef 3:5 geheim aan apostels en profete g.
GEPLANT, 1Kor 3:6 Ek g., Apollos het natgegooi
GEREÛK, Lu 8:1 gereis, g. en bekend gemaak
GERPROE, Heb 6:4 hemelse vrye gawe g.
GERAAK, Mt 8:3 aan hom g. en gesê: Ek wil!
GERED, Mt 24:22 as dae nie verkort word, niemand g.
GEREDENEER, Han 17:2 uit die Skrif g.
GEREED, Mt 24:44 Daarom moet julle g. wees
GEREEDE OFFERANDE, Da 11:31 g. verwyder
 Da 12:11 van tyd af dat g. verwyder is
GEREGTIGHEID, Job 40:8 Bevraagteken jy my g.?
 Ps 37:28 Jehovah is lief vir g.
 Spr 29:4 Deur g. bring koning stabiliteit in land
 Jes 32:1 prins sal in g. heers
 Mi 6:8 g. beoefen, lojaliteit liefhê, beskeie
 Han 28:4 G. het hom nie toegelaat om te bly lewe
GERUB, Ese 28:14 aangestel as g. wat beskerm
GERUBS, Ge 3:24 g. en vlammende lem van swaard
GERUG, Eks 23:1 mag nie valse g. versprei nie
GESAG, Mt 28:18 Alle g. aan my gegee
 Lu 4:6 Ek sal hierdie g. vir jou gee
 2Pe 2:10 dié wat neersien op g.
GESALF, 1Sa 16:13 Samuel het Dawid g.
 Jes 61:1 my g. om goeie nuus te verkondig
GESALFDE, Ps 2:2 konings neem stelling in teen g.
GESALFDES, Ps 105:15 Moenie aan my g. raak nie
GESEÛK, Ge 1:28 God het hulle g., en gesê
GESEÛND, Rig 5:24 G. bo alle vrouens is Jael
 Joh 12:13 G. is een wat in Jehovah se naam kom
GESIEN, Mt 6:1 nie goeie dade doen om g. te word
 Joh 1:18 Geen mens God al g. nie
 Joh 14:9 my g., het ook Vader g.
 2Kor 4:18 hou oë op dinge wat nie g. word
GESINDHEID, Ef 6:7 met goeie g., soos vir Jehovah
 Flp 2:5 Behou g. wat Christus gehad het
 Flp 2:20 niemand anders het dieselfde g. as hy
GESING, Mt 26:30 Iofliedere g., na Olyfberg
GESKEP, Ge 1:1 In die begin het God g.
 Ps 104:30 As u gees uitstuur, word hulle g.
 Jes 45:18 aarde nie verniet g.
 Kol 1:16 deur middel van hom alle dinge g.
 Op 4:11 alles g., deur u wil bestaan hulle
GESKIKTE, Lu 4:13 Duiwel weggegaan tot g. tyd
GESKREE, Ef 4:31 laat vaar woede, g. en
GESKRIFTE, 2Ti 3:15 van jongs af g. geken
GESKRYF, Ro 15:4 alles wat vroeër g.
 1Kor 4:6 Moenie verder gaan as dinge wat g.
GESLAAN, 2Kor 6:5 g., in tronk gegooi
GESLAG, Ps 44:22 as skape wat g. moet word
 Jes 53:7 Soos skaap gebring om g. te word
 Mt 24:34 g. sal nie tot einde kom
GESOND, Lu 9:11 het siek mense g. gemaak
GESONDE, 2Ti 1:13 patroon van g. woorde
 Tit 2:1 wat ooreenstem met g. lering
GESONDIG, 2Sa 12:13 Dawid: Ek het teen Jehovah g.
 Ro 3:23 almal het g., nie heerlikheid weerspieël
GESPAAR, Jer 39:18 lewe sal g. word
GESPOEG, Mt 26:67 in sy gesig g. en hom geslaan
GESPOG, 1Jo 2:16 die g. met 'n mens se besittings
GESTERF, 2Kor 5:15 lewe vir hom wat vir hulle g. het

GESTRAF, Pr 8:11 slegte daad nie gou **g.** nie
GESTUDEER, Joh 7:15 hy nie aan skole **g.** nie?
GETEL, Lu 22:37 Hy is onder wettelose **g.**
GETOETS, Lu 8:13 wanneer **g.** word, val hulle weg
GETREUR, Pr 7:2 beter na huis te gaan waar **g.**
GETROU, De 10:20 julle moet aan Jehovah **g.** bly
 Da 6:16 Jou God wat jy so **g.** dien
 Lu 16:10 in minste **g.**, in baie **g.**
 1Kor 4:2 bestuurders moet **g.** wees
 1Kor 10:13 God **g.**, met versoeking uitweg gee
 Op 2:10 Bewys dat jy **g.**, tot dood toe
GETROUD, 1Kor 7:8 vir dié wat nie **g.** sê ek
GETROUHEID, Hab 2:4 regverdige deur sy **g.** lewe
GETUIE, Op 1:5 Jesus Christus, die Getroue **G.**
GETUIENIS, Mt 24:14 Koninkryk verkondig as **g.**
GETUIES, De 19:15 deur twee of drie **g.** bevestig
 Jes 43:10 Julle is my **g.**, sê Jehovah
 Mt 18:16 saak deur twee of drie **g.** bevestig
 Han 1:8 julle sal **g.** van my wees in
 Op 11:3 twee **g.**, 1 260 dae profeteer
GETUIG, Joh 7:7 wêreld haat my, omdat ek **g.**
 Joh 18:37 in wêreld om van waarheid te **g.**
 Han 10:42 beveel om te preek en deeglik te **g.**
 Han 28:23 deeglik oor Koninkryk **g.**
GEVAAR, Ps 23:4 nie bang vir enige **g.** nie
 Spr 22:3 verstandige sien **g.** en vermy dit
GEVANGE, 2Kor 10:5 neem elke gedagte **g.**
GEVARE, 2Kor 11:26 **g.** in die stad, in die
GEVEG, 1Sa 17:47 **g.** behoort aan Jehovah
 1Kor 14:8 wie sal geredmaak vir **g.**?
GEVIND, Jes 55:6 Soek Jehovah terwyl **g.** kan word
GEVOEL, Ef 4:19 glad nie **g.** vir reg en verkeerd
GEVOELENS, Jak 5:17 Elia mens met **g.** soos ons
GEVOLG, Mt 4:20 nette gelos en hom **g.**
GEVOLGE, Spr 27:12 onervarene dra **g.**
GEVORM, 1Pe 1:14 nie langer **g.** word deur begeertes
GEWAAG, Ro 16:4 hulle lewens vir my **g.**
GEWAAK, Joh 17:12 ek het oor hulle **g.**
GEWAS, 1Kor 6:11 julle is skoon **g.**, geheilig
GEWEEG, Da 5:27 op weegskaal **g.**, te lig
GEWELD, Ge 6:11 aarde was vol **g.**
 Ps 11:5 haat elkeen wat **g.** liefhet
 Ps 72:14 Van onderdrukking en **g.** red
GEWELDDADIG, Ps 5:6 Jehovah haat mense wat **g.**
GEWERK, 1Te 2:9 ons het dag en nag **g.**
GEWETE, Ro 2:15 **g.** saam met hulle getuig
 Ro 13:5 onderdanig weens **g.**
 1Kor 8:12 hulle swak **g.** seermaak
 1Pe 3:16 Behou goeie **g.**
 1Pe 3:21 versoek vir goeie **g.**
GEWETENS, 1Ti 4:2 **g.** ongevoelig, brandyster
GEWIG, Heb 12:1 ontslae raak van elke **g.**
GEWILDE, Jer 8:6 bly terugkeer tot **g.** weg
GEWILLIG, Ps 110:3 U volk sal hulle **g.** aanbid
 1Pe 5:2 herders nie omdat gedwing, maar **g.**
GEWILLIGE, Eks 35:5 elkeen wat **g.** hart, bydrae bring
GEWILLIGER, Han 17:11 Berea **g.**, om te leer as
GEWILLIGHEID, 2Kor 8:12 as **g.** daar is
 Ef 6:15 **g.** om goeie nuus bekend te maak
GEWOND, Op 13:3 een van sy koppe dodelik **g.**
GEWONE, Han 4:13 ongeleerde en **g.** mense
GEWORD, 1Kor 9:22 Ek het alles vir alle mense **g.**
GEWORTEL, Kol 2:7 **g.** en stewig in geloof
GEWRIG, Ef 4:16 elke **g.** gee wat nodig
GIBEON, Jos 9:3 inwoners van **G.** hoor ook
GIDEON, Rig 7:20 swaard van Jehovah en van **G.**!

GIERIG, 1Kor 5:11 ophou assosieer met broer wat **g.** is
 1Kor 6:10 mense wat **g.** is, Koninkryk nie erf nie
GIERIGHEID, Lu 12:15 vermy elke vorm van **g.**
 Kol 3:5 **g.**, wat afgodediens is
GLIBBERIGE, Ps 73:18 U plaas hulle op **g.** grond
GLO, Joh 20:29 Gelukkig dié wat nie gesien het en **g.**
GLOEI, Ro 12:11 **G.** van die gees
GOD, De 10:17 Jehovah is **G.** van gode en
 Mt 27:46 my **G.**, waarom het u my verlaat?
 Joh 1:18 Geen mens het **G.** al ooit gesien
 Joh 17:3 u leer ken, enigste ware **G.**
 Joh 20:17 Ek vaar op na my **G.** en julle **G.**
 1Kor 8:4 dat daar net een **G.** is
 2Kor 4:4 **g.** van wêreld verblind die verstande
 Ef 4:6 een **G.** en Vader van almal
 1Jo 4:8 **G.** is liefde
GODDELOOSHEID, 1Te 5:22 Bly weg van **g.**
GODDELOSE, Ps 37:9 **g.** mense sal vernietig word
 Spr 29:2 wanneer **g.** regeer, sug volk
 Jes 26:10 as genade aan **g.** betoon, leer hy nie
GODDELOSES, Ps 37:10 **g.** sal nie meer bestaan
 Spr 15:8 offerande van **g.** afskuwelik
 Spr 15:29 Jehovah ver van **g.** af
 Jes 57:21 geen vrede vir **g.** nie
GOED, Ge 1:31 alles wat hy gemaak, baie **g.**
 Ge 3:5 soos God, kennis van **g.** en sleg
 De 8:16 sodat dit in toekoms met julle **g.** gaan
 De 10:13 gehoorsaam sodat dit **g.** kan gaan
 Mt 16:22 Wees **g.** vir uself, Here
 Han 28:2 mense was buitengewoon **g.** vir ons
 Ro 7:18 ek wil graag doen wat **g.** is, maar
 Ga 6:10 **g.** doen aan almal
GOEDGEKEUR, Lu 3:22 my Seun. Ek het jou **g.**
GOEDHARTIGE, Spr 11:17 **G.** man vind baat
GOEDKEURING, 1Kor 7:33 hoe vrou se **g.** verkry
 Ga 1:10 probeer ek mense se **g.** kry
 2Ti 2:15 Doen bes om God se **g.** te hê
GOEIE, Ro 5:7 bereid om vir **g.** mense te sterf
 Ro 7:19 doen nie **g.** dinge wat ek wil doen
GOEIE NUUS, Jes 52:7 voete wat **g.** bring
 Mt 24:14 **g.** van Koninkryk sal verkondig word
 Lu 4:43 moet **g.** bekend maak, daarvoor gestuur
 Ro 1:16 nie skaam vir **g.**
 1Kor 9:16 sal sleg gaan as ek **g.** nie bekend maak!
 1Kor 9:23 ek doen alles ter wille van **g.**
GOLGOTA, Joh 19:17 Skedeleplek, in Hebreus **G.**
GOLIAT, 1Sa 17:4 kampioenvegter, naam was **G.**
GOMORRA, Ge 19:24 swael en vuur op **G.**
GOUD, Ese 7:19 Nie silwer of **g.** sal hulle red
GOUE, Da 3:1 Nebukadnesar het **g.** beeld gemaak
GRAF, Job 14:13 as u my in **G.** wou wegsteek
 Pr 9:10 geen werk of wysheid in **G.**
 Ho 13:14 Uit **G.** sal ek hulle loskoop
 Han 2:31 Christus nie in **G.** agtergelaat
 Op 1:18 sleutels van dood en van **G.**
 Op 20:13 dood en **G.** het dooies gegee
GRAP, Ge 19:14 gedink dat Lot **g.** maak
 Spr 26:19 Dit was net 'n **g.**!
GRETI, Ro 1:15 om goeie nuus bekend te maak
 1Pe 1:12 engele **g.** om te verstaan
GROET, 2Jo 10 moet hom nie **g.** nie
GROND, Mt 13:23 op goeie **g.** gesaai
GROOT MENIGTE, Op 7:9 **g.**, wat geen mens kon tel
GROOTOUIERS, 1Ti 5:4 **g.** sorg gee wat hulle toekom
GROTER, Joh 14:28 Vader is **g.** as ek
 1Jo 3:20 God is **g.** as ons hart
GRYS, Spr 16:31 **G.** hare is pragtige kroon

H

HAAN, Mt 26:34 voordat h. kraai, drie keer
HAAR, Lu 21:18 nie eers h. op koppe verlore gaan
HAAT, Le 19:17 mag nie jou broer h. nie
 Ps 97:10 julle wat Jehovah liefhet, h. wat sleg is
 Spr 6:16 ses dinge wat Jehovah h.
 Spr 8:13 Vrees vir Jehovah beteken h. wat sleg is
 Am 5:15 H. wat sleg is, wees lief vir goed
 Lu 6:27 doen goed aan mense wat julle h.
 Joh 7:7 wêreld h. my, omdat ek getuig
 Ro 12:9 H. wat goddeloos, hou vas aan wat goed
 1Jo 3:15 sy broer h., is moordenaar

HADES, sien **GRAF**.
HALLELUJA, sien **LOOF JAH**.
HAND, De 15:7 nie h. toehou vir arm broer
 Ps 145:16 U maak h. oop en bevredig
HANDE, Jes 35:3 Versterk dié wie se h. slap hang
HANDELAAR, Mt 13:45 reisende h. wat pèrels soek
HANDELAARS, Op 18:3 h. van aarde ryk geword
HARDE, Spr 15:1 h. woorde laat woede opvlam
HARDKOPPIG, Han 19:9 h. weier om te glo
HARDKOPPIGHEID, Spr 1:32 h. sal tot dood lei
HARDLOOP, 1Kor 9:24 h. so dat julle dit kan wen
 1Kor 9:26 ek h. nie sonder doel
HARDWERKEND, Ro 12:11 Wees h., nie lui nie
 Heb 6:11 h. wees sodat hoop seker
HARDWERKENDE, Spr 10:4 h. hande bring rykdom
 Spr 21:5 planne van h. mense lei tot sukses
HARE, Mt 10:30 selfs h. op julle kop is getel
 1Kor 11:14 lang h. vir man 'n skande
HARMONIES, Ef 4:16 h. saamgevoeg
HART, Ge 6:5 die begeertes van hulle h.
 De 6:6 Hierdie woorde moet in h. wees
 1Kn 8:38 elkeen weet watter pyn in sy h. is
 1Kr 28:9 God met hele h. dien
 2Kr 16:9 wat met hele h. op hom vertrou
 Esr 7:10 Esra het sy h. voorberei
 Ps 51:10 Skep 'n suiwer h. in my
 Ps 51:17 nie gebroke en verpletterde h. verwerp
 Spr 4:23 Beskerm jou h., want
 Spr 17:22 Vreugdevolle h. soos goeie medisyne
 Spr 28:26 een wat op eie h. vertrou, is dwaas
 Jes 65:17 vorige dinge nie in h. opkom
 Jer 17:9 h. is bedrieglik as enigiets anders
 Jer 17:10 Ek, Jehovah, deursoek die h.
 Jer 31:33 Ek sal my wet in hulle h. skryf
 Mt 15:19 Uit die h. kom moord, diefstal
 Mt 22:37 Jehovah liefhê, sal julle h.
 Lu 12:34 waar julle skat is, sal julle h. wees
 Joh 8:29 doen altyd wat sy h. bly maak
 Han 16:14 Lidia h. wyd oopgemaak
 Ro 6:17 uit die h. gehoorsaam geword
 Heb 3:12 ongelowige h. ontwikkel, wegbeweeg
 1Jo 3:20 God is groter as ons h.

HARTE, Spr 17:3 Jehovah ondersoek h.
 Lu 21:34 h. nooit oorweldig word
 Lu 24:32 h. gebrand toe hy met ons praat
HARTSEER, Ps 38:6 hele dag lank h.
 Ps 78:41 hulle het Heilige h. gemaak
 Ps 90:10 dae van ons lewe is vol h.
 Jes 51:11 h. en swaarkry sal verdwyn
 2Kor 2:7 oorweldig deur h.
 2Kor 7:9 h. in ooreenstemming met God se wil
 Flp 2:26 [Epfaroditus] h. omdat
HEERLIKHEID, Ro 3:23 h. nie volmaak weerspieël nie
 Ro 8:18 in vergelyking met h. wat
 Op 4:11 Jehovah waardig om h. te ontvang

HEERS, Ge 1:28 H. oor al die lewende diere
 Pr 8:9 mens h. oor mens tot sy nadeel
HEERSEER, Da 4:17 weet dat die Allerhoogste H. is
 Joh 12:31 h. van wêreld sal uitgedryf word
 Joh 14:30 h. van wêreld kom, geen mag oor my
HEERSKAPPY, Jes 9:7 Sy h. sal bly uitbrei
 Da 4:34 sy h. is 'n ewige h.

HEILIG, Le 19:2 wees h., want ek is h.
 Ese 36:23 Ek sal my groot naam h.
 1Pe 1:15 word h. in al julle gedrag
 Op 4:8 H., h., h. is Jehovah God
HEILIGDOM, Eks 25:8 maak vir my 'n h.
 Ps 73:17 totdat ek groot h. van God ingaan
HEILIGE, Eks 26:33 die H. en die Allerheiligste
HEILIGE DIENS, Ro 12:1 h. met denkvermoë
HEILIGE GEES, Ps 51:11 moenie h. van my wegneem
 Lu 1:35 H. sal oor jou kom
 Lu 3:22 h. in die vorm van duif
 Lu 11:13 Vader gee h. vir dié wat vra!
 Joh 14:26 h. sal julle leer en herinner
 Han 1:8 sal krag ontvang wanneer h. kom
 Han 2:4 almal met h. gevul
 Han 5:32 h. aan dié gegee wat God gehoorsaam
 Ef 4:30 nie God se h. bedroef nie

HEILIGE GEHEIM, Ro 16:25 h. geheim gehou
 Ef 3:4 ek verstaan h.

HEILIGES, Da 7:18 die h. sal die koninkryk ontvang
HEILIGHEID, Heb 12:14 Probeer hard om h. te hê
HELE, 2Kr 16:9 wat met h. hart op hom vertrou
HELM, Ef 6:17 dra die h. van redding
HELPER, Joh 14:16 hy sal julle 'n ander h. gee
 Joh 14:26 die h., die heilige gees, sal leer
HEMEL, Ps 8:3 Wanneer ek u h. sien, maan, sterre
 Joh 3:13 geen mens het na h. opgevaar
 2Kor 12:2 na derde h. weggeruk
HEMELE, Ps 19:1 Die h. maak heerlikheid bekend
 2Pe 3:13 daar is nuwe h. en nuwe aarde
HEN, Mt 23:37 soos 'n h. kuikens bymekaarmaak
HENOG, Ge 5:24 H. het met God bly wandel
HERDER, Ps 23:1 Jehovah is my H.
 Jes 40:11 sal soos h. vir kudde sorg
 Ese 37:24 Dawid, hulle sal almal een h. hê
 Sag 13:7 Slaan h., kudde verstrooi
 Mt 9:36 soos skape sonder h.
 Joh 10:11 Ek is goeie h., gee sy lewe
 Joh 10:14 Ek is goeie h. Ek ken my skape
 Joh 10:16 sal een kudde onder een h. word

HERDERS, Ese 34:2 h. wat vir hulleself sorg!
 Han 20:28 opsieners, h. vir gemeente van God
 Ef 4:11 party as h. en onderrigters
 1Pe 5:2 h. vir kudde van God onder julle sorg

HERE, De 10:17 Jehovah is H. van h.
 Mt 7:22 H., H., het ons nie geprofeteer
 Mt 22:44 Jehovah het vir my H. gese:
 1Kor 7:39 vry om te trou, net in die H.
 1Kor 8:5 daar is baie gode en baie h.

HERHAAL, De 6:7 vir jou kinders h., daarvoor praat
HERINNER, 2Pe 1:12 van plan om julle aan dinge te h.
HERINNERING, Lu 22:19 dit doen as h. aan my
HERINNERINGE, Ps 119:24 Ek is lief vir u h.
HERKEN, 2Kor 6:9 onbekend, tog word ons h.
HEUNING, Eks 3:8 land wat oorloop van melk en h.
 Spr 25:27 nie goed om te veel h. te eet
HISKIA, 2Kn 19:15 H. begin voor Jehovah bid
HOEKSTEEN, Ps 118:22 belangrikste h. geword
 Ef 2:20 Jesus, h. van fondament
HOËPRIESTER, Heb 2:17 genadige en getroue h.

HOËR, Ro 13:1 onderdanig aan h. owerhede
 Flp 2:3 beskou ander as h. as julleself
HOERERY, Sien **SEKSUELE ONSEDELIKHEID**.
HOF, Da 7:10 Die H. het gaan sit
 1Kor 6:6 een broer sleep ander h. toe
HOMOSEKSUALITEIT, 1Kor 6:9 wat h. beoefen
HOND, Spr 26:17 wat 'n h. aan die ore gryp
 Pr 9:4 lewende h. is beter af as doolie leeu
 2Pe 2:22 h. teruggekeer na wat hy opgegooi het
HONGER, Jes 65:13 My knegte eet, maar julle ly h.
 Am 8:11 nie h. na brood of dors na water
HONGERSNOOD, Ps 37:19 baie hê in tyd van h.
HOOF, 1Kor 11:3 man die h. van vrou
 Ef 5:23 Christus h. van gemeente
 Ef 5:23 man is h. van sy vrou
HOOFBELASTING, Mt 17:25 ontvang konings h.?
HOOFDE, Ps 45:16 as h. regoor aarde aanstel
HOOGMOEDIG, Ro 12:16 Moenie h. wees nie
HOOGMOEDIGES, Jak 4:6 God staan h. teë
HOOP, Ps 146:5 Gelukkig is een wat h. op Jehovah
 Ro 8:24 h. wat gesien word, is nie h. nie
 Ro 12:12 Wees bly oor die h.
 Ro 15:4 deur ons volharding h. kan hê
 Ef 1:18 weet tot watter h. hy julle roep
 Heb 2:12 geen h. gehad, was sonder God
 Heb 6:19 h. as 'n anker
HOOR, Ro 10:14 hoe kan hulle h. as iemand nie
 2Ti 4:3 onderrigters sê wat hulle graag wil h.
 Jak 1:19 gou om te h., stadig om te praat
HORING, Da 8:8 die groot h. is gebreek
HORINGS, Da 7:7 vierde dier het tien h. gehad
HOUT, Spr 26:20 Waar geen h. is, gaan vuur dood
HOU VAS, Ro 12:9 h. aan wat goed is
HOWE, Mr 13:9 Mense sal julle aan h. oorlewer
HUIL, Lu 6:21 Gelukkig is julle wat nou h., want
 Ro 12:15 H. saam met mense wat h.
HUIS, 2Sa 7:13 Hy sal h. vir my naam bou
 Ps 27:4 ek wil woon in h. van Jehovah
 Ps 101:2 sal weg van integriteit in my h. volg
 Ps 127:1 As Jehovah nie h. bou
 Jes 56:7 sal h. van gebed vir volke genoem word
 Lu 2:49 ek moet in h. van my Vader wees
 Joh 2:16 h. van my Vader besigheidsplek maak!
 Joh 14:2 In h. van my Vader is baie
 Han 5:42 sonder ophou van h. tot h. te leer
 Han 20:20 julle in die openbaar en van h. tot h. leer
 2Kor 5:1 'n h. wat vir ewig in die hemel bestaan
 Heb 3:4 Elke h. deur iemand gebou
HUISE, Jes 65:21 sal h. bou en daarin woon
 Han 7:48 Allerhoogste woon nie in h. wat gemaak is
HUISGESIN, Ef 2:19 Iede van h. van God
HULP, Ps 46:1 h. maklik gevind in tye
HULPELOOS, Ps 40:17 ek is h. en arm
HULPELOSE, 1Sa 2:8 tel h. uit stof op
 Ps 41:1 aandag gee aan h.
HUWELIK, Mt 24:38 voor Vloed eet, drink, in h. gegee
 Heb 13:4 h. vir almal eerbaar wees
 Op 19:7 h. van Lam aangebreek
HUWELIKSBED, Heb 13:4 h. moet rein bly
HUWELIKSFEEES, Mt 22:2 koning wat h. voorberei
 Joh 2:1 h. in Kana

I

ILLUSTRASIES, Mt 13:34 nie sonder i. gepraat
 Mr 4:2 deur middel van i. geleer
INGELIPI, Jud 4 mense het onder julle i.
INKOMSTE, Pr 5:10 nooit genoeg kry van i.

INMENG, 1Ti 5:13 i. in ander se sake
 1Pe 4:15 laat niemand ly as iemand wat i.
INNERLIK, 2Kor 4:16 mens wat i. is, nuut gemaak
 Ef 3:16 sterk maak in mens wat julle i. is
IN RUIL, Mt 16:26 Wat sal mens gee i. vir sy lewe?
INSIG, 1Kn 3:11 nie rykdom, maar i. gevra
 Ps 119:99 meer i. as my onderrigters
 Spr 19:11 I. keer dat gou kwaad word
 Da 12:3 dié wat i. het, sal helder skyn
 Mt 24:15 hier het lesers i. nodig
INSPAN, Lu 13:24 moet julle kragtig i.
 2Pe 1:5 moet ywerig i.
INSPIRASIE, 1Kor 28:12 bouplan deur i. ontvang
INTEGRITEIT, 1Kor 29:17 i. maak u hart bly
 Job 27:5 Totdat ek sterf, nie i. prysgee!
 Ps 25:21 Laat i. my bewaar
 Ps 26:11 ek sal weg van i. volg
 Ps 101:2 In huis weg van i. volg
INTENSE, Kol 3:12 betoon i. medelye
IRRITEER, Ef 6:4 moenie julle kinders i. nie
 Kol 3:21 nie kinders i., sodat nie moedeloos word
ISAI, 1Sa 17:12 I. het agt seuns gehad
 Jes 11:1 takkie groei uit stomp van I.
ISAK, Ge 22:9 sy seun I. vasgebind
ISEBEL, 1Kn 21:23 honde sal I. opeet
 Op 2:20 Jy doen niks omtrent I.
ISRAEL, Ge 35:10 Jou naam sal I. wees
 Ps 135:4 I. sy spesiale eiendom
 Ga 6:16 vrede en genade op I. van God

J

JA, Mt 5:37 Laat j. net j. wees
JAAR, Nu 14:34 40 dae, 'n dag vir 'n j.
JAG, Le 17:13 As een gaan j., moet hy bloed uitgooi
JAH, Eks 15:2 My sterkte en mag is J.
 Jes 12:2 J. Jehovah is my sterkte
JAKKALSE, Mt 8:20 J. het gate, maar Seun van mens
JAKOB, Ge 32:24 man met J. begin stoei
JAKOBUS 1, Lu 6:16 Judas, die seun van J.
JAKOBUS 2, Han 12:2 J., broer van Johannes
JAKOBUS 3, Mr 15:40 Maria, ma van J. die Mindere
JAKOBUS 4, Mt 13:55 en sy broers J. en
 Han 15:13 Nadat hulle gepraat het, J. gesê
 1Kor 15:7 aan J. verskyn, toe aan al die apostels
 Jak 1:1 J., slaaf van God en
JALOERS, Ps 37:1 Moenie j. wees weens goddelose
 Ps 73:3 j. geword op hoogmoediges
 Ps 106:16 hulle het j. geword op Moses
 1Kor 13:4 Liefde is nie j. nie
JALOUSIE, Spr 6:34 j. maak man woedend
 Spr 14:30 j. vreet mens op
JAMMER, Mt 9:36 Toe hy skare sien, j. gevoel
 Mt 20:34 baie j. gevoel, aan hulle oë geraak
JEFTA, Rig 11:30 J. het gelofte aan Jehovah gemaak
JEHOVAH, Eks 3:15 J. is my naam vir ewig
 Eks 5:2 Wie is J.? Ek ken J. glad nie
 Eks 6:3 nie deur middel van naam J. geopenbaar
 Eks 20:7 nie naam J. disrespekvol gebruik
 De 6:5 J. liefhê met hele hart
 De 7:9 J. die ware God, die getroue God
 Ps 83:18 wie se naam J. is, u alleen Allerhoogste
 Jes 42:8 Ek is J. Dit is my naam
 Ho 12:5 J. van leëmagte, J. sy gedeknaam
 Mal 3:6 ek is J., ek verander nie
 Mr 12:29 J. ons God is een J.
JEHOVAH SE DAG, 1Te 5:2 J. kom soos dief
JEREMIA, Jer 38:6 J. in seënput gegooi

JERUSALEM, Jos 18:28 Jebusi, dit wil sê J.
 Da 9:25 bevel dat J. herstel en herbou word
 Mt 23:37 J., J., wat die profete doodmaak
 Lu 2:41 gewoonte om na J. te gaan vir Pasgafees
 Lu 21:20 wanneer julle J. omsingel sien
 Lu 21:24 J. sal deur nasies vertrap word
 Han 5:28 leringe deur hele J. versprei
 Han 15:2 apostels en ouermanne in J. oor saak
 Ga 4:26 J. daar bo is vier, ons moeder
 Heb 12:22 by hemelse J. gekom
 Op 3:12 Nuwe J., uit hemel neerdaal
 Op 21:2 Nuwe J. uit hemel neerdaal soos bruid
JESUS, Mt 1:21 jy moet hom J. noem
JOB, Job 1:9 het J. nie goeie rede om God te vrees?
 Jak 5:11 gehoor van volharding van J.
JODE, Ro 3:29 is hy net God van J.?
JOHANNES 1., Mt 21:25 J. se doop, hemel of mense?
 Mr 1:9 Jesus deur J. in die Jordaan gedoop
JOHANNES 2., Joh 1:42 Jy is Simon, seun van J.
JOHANNES 3., Mt 4:21 Jakobus en sy broer J.
JONA, Jon 2:1 J. uit vis se maag gebid
JONATAN, 1Sa 18:3 J. en Dawid het verbond gemaak
 1Sa 23:16 J. het Dawid se vertroue versterk
JONG, Ps 110:3 j. manne soos doudruppels
 Spr 20:29 prag van j. manne is hulle krag
JONGS, Ps 71:17 u my van j. af geleer
JONK, Job 33:25 liggaam gesonder as toe hy j. was
 1Ti 4:12 niemand op jou neersien omdat jy j. is
JOOD, Sag 8:23 die kleet van J. vasgryp
 1Kor 9:20 Vir die Jode het ek soos J. geword
JORDAANRIVIER, Jos 3:13 water van J. sal opdam
 2Kn 5:10 was jou sewe keer in J.
JOSAFAT, 2Kor 20:3 J. het bang geword
JOSEF, Ge 39:23 Jehovah was met J.
 Lu 4:22 verstom: Is hy nie seun van J. nie?
JOSIA, 2Kn 22:1 J. 31 jaar regeer
JOSUA, Eks 33:11 J., seun van Nun, sy dienaar
JUBELJAAR, Le 25:10 sal vir julle 'n J. word
JUDA, Ge 49:10 septer nie van J. weggenem
JUDAS, Mt 27:3 J. spyt, neem 30 silwerstukke terug
JUK, 1Kn 12:14 pa j. swaar gemaak, ek sal j. swaarder
 Mt 11:30 my j. maklik om te dra, vraag lig
 Mt 19:6 Wat God onder een j. saamgevoeg
 2Kor 6:14 nie onder 'n ongelyke j. kom nie

K

KAALKOP, 2Kn 2:23 Gaan op, jou k.!

KAAL SKEER, Le 21:5 mag nie hulle kop k. nie

KAF, Sef 2:2 voordat dag soos k. verbygaan

KAIN, 1Jo 3:12 nie soos K., broer doodgemaak

KALBASPLANT, Jon 4:10 Jy het jammer gevoel vir k.

KALEB, Nu 13:30 K. het volk probeer kalmeer
 Nu 14:24 K. ander gees geopenbaar

KALF, Eks 32:4 beeld van k. gemaak
 Jes 11:6 k. en leeu sal saam wees

KALM, Spr 14:30 K. hart beteken lewe vir liggaam
 Spr 17:27 man met insig sal k. bly

KAMEEL, Mt 19:24 makliker vir k. om deur oog
KANA, Joh 2:1 huweliksfees in K.

KEER, 1Te 2:16 k. dat ons boodskap verkondig

KEISER, Mt 22:17 hoofbelasting aan k. betaal?
 Mr 12:17 Betaal aan k. wat aan k. behoort
 Joh 19:12 hierdie man vrylaat, nie vriend van k.
 Joh 19:15 Ons het geen ander koning as k.
 Han 25:11 k. moet my saak verhoor!

KEN, Jer 31:34 K. Jehovah! want hulle almal sal my k.
 Tit 1:16 dade toon dat hulle God nie wil k. nie

KENNIS, Spr 1:7 Vrees vir Jehovah begin van k.
 Spr 2:10 jou siel lief word vir k.
 Spr 24:5 deur k. kry 'n man meer krag
 Jes 5:13 gaan in ballingskap omdat hulle nie k. het
 Jes 11:9 aarde vol k. van Jehovah
 Da 12:4 ware k. sal oorvloedig word
 Ho 4:6 Omdat jy k. verwerp het
 Mal 2:7 lippe van 'n priester moet k. bewaar
 Lu 11:52 julle het sleutel van k. weggenem
 Ro 2:20 basiese k. van waarheid
 1Kor 8:1 K. maak trots, liefde bou op

KIES, De 30:19 jy moet die lewe k.
 Jos 24:15 k. wie julle gaan dien
 Ro 9:11 God die Een wat roep, hy k.

KIND, Rig 13:8 sê wat ons moet doen met k.
 Spr 22:6 Lei k. op, selfs as hy oud word
 Lu 9:47 jong k. langs hom laat staan
 1Kor 13:11 soos k. gedink en gereeneer

KINDERLOOS, De 7:14 Geen man of vrou sal k. wees

KINDERS, De 31:12 Laat volk bymekaarkom, die k.
 Ps 8:2 Uit die mond van k.
 Jes 54:13 al jou k. sal deur Jehovah geleer word
 Jes 66:8 Sion se k. is gebore
 Mt 11:16 soos k. op markpleine
 Mt 18:3 verander en soos jong k. word
 Mt 19:14 Los k., moet hulle nie keer nie
 Lu 10:21 weggesteek, aan k. geopenbaar
 Ro 8:14 almal deur gees gelei, is God se k.
 Ro 8:21 glorieryke vryheid van k. van God
 1Kor 7:14 k. sou onrein wees, maar nou heilig
 1Kor 14:20 jong k. wanneer by slegte dinge kom
 2Kor 12:14 nie k. wat vir ouers moet spaar nie
 Ef 6:1 K., wees gehoorsaam aan ouers
 1Jo 3:2 ons is nou k. van God

KLAA, Nu 14:27 Israëliete k. teen my
 1Kor 10:10 nie mense wees wat k. nie
 Flp 2:14 alles doen sonder om te k.
 Kol 3:13 rede om oor iemand te k.
 Jud 16 sug en k. oor lewenslot
 Jud 16 Hierdie mense sug en k.

KLEDINGSTUKKE, Ge 3:21 God het lang k. gemaak

KLEI, Jes 45:9 Moet k. vir Pottebakker sê
 Jes 64:8 Ons is k., u is ons Pottebakker
 Da 2:42 gedeeltelik yster, gedeeltelik k.

KLEIN, Sag 4:10 dag van k. begin onbelangrik?

KLEINE, Jes 60:22 k. sal duisend word

KLEIN KUDDETJIE, Lu 12:32 Moenie bang wees nie, k.

KLEINS, Mr 10:20 ek van k. af gehoorsaam aan

KLERE, Jak 2:15 As broers of susters nie k. het nie

KLIP, Da 2:34 k. uitgekap, nie deur mensehande

KLIPPE, Lu 19:40 As hulle stilbly, sal k. uitroep

KLOP, Mt 7:7 Hou aan k., sal oopgemaak word

KNEG, Jes 42:1 Kyk! My k., wat ek ondersteun!

KNEGTE, Jes 65:13 My k. sal eet, maar julle

KNOFFEL, Nu 11:5 verlang na uie en k.!

KOBRA, Jes 11:8 by lêplek van k. speel

KOLE, Ro 12:20 gloeiende k. op kop sit

KOM, Jes 55:1 K., almal wat dors is!
 Jak 4:8 K. nader aan God, en hy sal
 Op 22:17 laat enigiemand wat hoor, sê: K.!

KOMPETEER, Ga 5:26 nie met mekaar k. nie

KONING, Rig 21:25 In daardie dae nie k. in Israel nie
 1Sa 23:17 Jy sal k. wees, ek sal tweede wees
 Ps 2:6 Ek het my k. op Sion ingehuldig
 Spr 21:1 K. se hart soos waterstrome
 Jes 32:1 K. sal in regverdigheid regeer
 Sag 14:9 Jehovah K. oor hele aarde

Mt 21:5 Jou k. kom, hy sit op 'n donkie
 Mt 27:29 Goeiedag. K. van Jode!
 Joh 19:15 Ons het geen ander k. as keiser nie
 1Kor 15:25 hy moet as k. regeer totdat
KONINGIN, 1Kn 10:1 k. van Skeba na Salomo
KONINGS, Spr 22:29 werk goed doen? Voor k. staan
 Lu 21:12 voor k. en goewerneys gebring
 Han 4:26 k. van aarde het stelling ingeneem
 Op 5:10 as k. oor aarde regeer
 Op 18:3 k. pleeg onsedelikhed met haar
KONING VAN DIE NOORDE, Da 11:7 vesting van k.
 Da 11:40 k. sal hom bestorm met strydwaens
KONING VAN DIE SUIDE, Da 11:11 k. verbitterd
 Da 11:40 k. sal in stotery met hom betrokke raak
KONINKRYK, Eks 19:6 sal k. van priesters word
 Da 2:44 God van hemel sal k. oprig
 Da 7:14 aan hom is heerskappy, eer en 'n k. gegee
 Da 7:18 heiliges sal k. ontvang
 Mt 6:10 Laat u K. kom. Laat u wil
 Mt 6:33 soek eers K. en sy regverdigheid
 Mt 21:43 K. aan nasie met regte vrugte gee
 Mt 24:14 goeie nuus van K. sal verkondig word
 Mt 25:34 Kom, erf K. wat vir julle voorberei is
 Lu 12:32 goedgevind om K. aan julle te gee
 Lu 22:29 ek maak verbond met julle, vir k.
 Joh 18:36 My K. is geen deel van hierdie wêreld
 Han 1:6 herstel u in hierdie tyd k.?
 1Kor 15:24 hy sal K. aan sy God oorgee
 Ga 5:21 sulke dinge beoefen, God se K. nie erf nie
 Kol 1:13 ons oorgeplaas na k. van sy Seun
 Op 1:6 ons 'n k. gemaak, priesters vir sy God
 Op 11:15 k. van wêreld het K. van ons Here geword
KONINKRYKE, Mt 4:8 Duiwel het hom al die k. gewys
KOOPKONTRAK, Jer 32:12 die k. vir Barug gegee
KOP, Ge 3:15 Hy sal jou k. verguis
 Da 2:32 k. van beeld van suiwer goud
KORAG, Nu 26:11 seuns van K. het nie gesterf nie
 Jud 11 opstandige praatjies van K.
KORES, Esr 6:3 K.: Laat hys herbou word
 Jes 45:1 gesalfde, K., wie se regterhand
KORING, Mt 13:25 onkruid tussen k. gesaai
KORNELIUS, Han 10:24 K. familieleden, vriende
KOS, Da 1:5 daaglikse porsie van koning se k.
 1Kor 8:13 As k. my broer laat struikel
KOSBARE, Hag 2:7 k. dinge van nasies sal inkom
 1Pe 1:19 k. bloed, dié van Christus
KOSTE, Lu 14:28 bereken eers die k.
KOSTELOOS, 1Kor 9:18 ek bied goeie nuus k. aan
KRAG, Ps 29:11 sal sy volk k. gee
 Ps 31:10 My k. minder as gevolg van oortreding
 Ps 84:7 hulle kry al hoe meer k.
 Spr 17:22 gebroke gees beroof jou van k.
 Jes 40:29 gee k. aan een wat moeg is
 Jes 40:31 op Jehovah hoop, sal nuwe k. kry
 Jes 57:15 nederiges nuwe k. gee
 Sag 4:6 Nie deur k., maar deur my gees
 Mt 11:28 Kom na my, ek sal julle nuwe k. gee
 Mr 5:30 agtergekrom dat k. uit hom uitgaan
 Mr 12:30 Jehovah liefhê met al jou k.
 Han 1:8 k. wanneer heilige gees op julle kom
 2Kor 4:7 k. bo normale kom van God af
 2Kor 12:9 in swakheid word my k. volmaak
 Op 3:8 ek weet dat jy 'n bietjie k. het
KREUN, Ro 8:22 die hele skepping k.
 Ro 8:26 gees pleit wanneer ons in ons harte k.
KREUPEL, Mal 1:8 k. of siek dier aanbied
KREUPEL, Jes 35:6 k. sal soos takbok spring

KRING, Jes 40:22 Een wat bo k. van aarde woon
KRIP, Lu 2:7 hom in 'n k. neergelê
KRITISEER, 1Ti 5:1 nie ouer man skerp k. nie
KROM, Pr 1:15 k. kan nie reguit gemaak word nie
KROON, Spr 12:4 Goeie vrou, k. vir haar man
 Mt 27:29 k. van dorings gevleg
 1Kor 9:25 Hulle kry k. wat vergaan
KUDDE, Joh 10:16 ander skape, een k., een herder
KUDDERTJIE, Lu 12:32 Moenie bang wees, klein k.
KWAAD, Ps 37:8 Hou op k. wees, laat vaar woede
 Ps 103:8 Jehovah word nie gou k. nie
 Spr 14:17 een wat gou k. word, tree dwaas op
 Spr 16:32 nie gou k., beter as sterk man
 Spr 19:19 Man wat gou k., sal gevolge dra
 Han 15:39 k. geword, uitmeekaargegaan
 1Kor 13:5 raak nie gou k. nie
 Ef 4:26 nie son laat ondergaan terwyl nog k.

L

LAASTE DAE, 2Ti 3:1 in l. sal daar swaar tye wees
LAAT, Jes 46:13 my redding sal nie l. wees nie
 Hab 2:3 Dit sal nie l. wees nie!
LAFHARTIG, 2Ti 1:7 gee maak ons nie l. nie
LAG, Ps 2:4 Een wat op troon in hemel sit, sal l.
 Spr 14:13 Selfs as iemand l., kan pyn in hart wees
LAM, Ps 143:4 My hart is l. binne-in my
 Jes 44:8 moenie l. word van vrees
 Joh 1:29 Kyk, die L. van God wat sonde wegneem!
LAMMERS, Jes 40:11 hy sal die l. bymeekaarmaak
 Joh 21:15 liever vir my? Voed my l.
LAMP, Ps 119:105 U woord is l. vir my voet
 Mt 6:22 l. van liggaam is oog
LAMPE, Mt 25:1 tien maagde wat l. gevat het
LAMPPIET, Jes 42:3 sal nie l. uitdoof nie
LAND, Jes 66:8 l. op een dag gebore?
LANDERY, Mt 13:38 l. is die wêreld
LANDERYE, Joh 4:35 l. wit vir oes
LANGER, Jes 54:2 maak jou tenttoue l.
LANK, Hab 2:3 Al sou dit l. neem, bly gretig wag
 Lu 12:45 in hart se: My meester vat l. om te kom
LAS, Ps 55:22 Gee jou l. vir Jehovah
 Han 15:28 geen verdere l. byvoeg nie, behalwe
 1Te 2:6 ons kon 'n duur l. gevoes het
 Op 2:24 Ek lê geen ander l. op julle nie
LASARUS, Lu 16:20 bedelaar met naam L.
 Joh 11:11 L., ons vriend, het gaan slaap
 Joh 11:43 L., kom uit!
LASTE, Ga 6:2 Hou aan om mekaar se l. te dra
LASTER, Le 19:16 nie rondgaan en l. versprei
 Mr 3:29 teen die heilige gees l.
LASTERAAR, Spr 16:28 l. dryf vriende uitmekaar
LEË, Ef 4:17 nasies met hulle l. gedagtes
LEË HANDE, De 16:16 niemand mag met l. verskyn
LEEN, Ps 37:21 goddelose l., betaal nie terug nie
 Spr 19:17 een wat goed vir armes, l. aan Jehovah
LEER, De 4:10 bymeekaarkom sodat hulle kan l.
 Esr 7:10 Esra het hart voorberei om Israel te l.
 Ps 143:10 L. my om u wil te doen
 Spr 9:9 L. regverdige, hy kry meer kennis
 Jes 48:17 jou l. om jouself te bevoordeel
 Jer 31:34 nie meer broer l. en se: Ken Jehovah!
 Mt 7:28 verstom om manier waarop hy l.
 Mt 7:29 l. soos iemand wat gesag het
 Mt 15:9 l. gebooi van mense as leerstellings
 Mt 28:20 l. hulle om alles te gehoorsaam
 Joh 7:16 Wat ek l., nie myne, maar behoort aan
 Ro 2:21 iemand anders l., l. jy nie jouself nie?

Ro 15:4 geskryf sodat ons daaruit kan l.
2Ti 3:7 Hulle l. heeltyd, tog kan hulle nooit

LEËRMAG, Ps 68:11 vrouens, groot l.
Sag 4:6 Nie deur l., maar deur my gees

LEËRMAGTE, Op 19:14 l. in hemel het hom gevolg

LEES, De 17:19 al die dae van sy lewe daarin l.
Han 8:30 Verstaan u wat u l.?

LEEU, 1Sa 17:36 l. sowel as beer doodgemaak
Ps 91:13 Op l. en kobra sal jy trap
Jes 11:7 l. sal strooi eet soos bul
1Pe 5:8 Duiwel loop rond soos brullende l.
Op 5:5 L. uit stam van Juda

LEEUKUIL, Da 6:7 moet in l. gegooi word

LEEUS, Da 6:27 Daniël van l. gered

LEI, Ps 48:14 God sal ons vir ewig l.

LEIDING, Spr 11:14 Sonder wyse l. gaan volk onder
Ro 12:8 As iemand l. neem, dit ywerig doen
1Te 5:12 respek vir dié wat l. neem
Heb 13:7, 17 dié wat l. onder julle neem

LEIER, Spr 28:16 L. sonder insig misbruik mag
Mt 23:10 julle het een L., die Christus

LEIERS, Joh 12:42 baie van l. geloof in hom gestel
Han 4:26 l. soos een man teen Jehovah, gesalfde

LELIES, Lu 12:27 Let op hoe l. groei

LENER, Spr 22:7 l. is slaaf van man by wie hy leen

LENTEREËN, De 11:14 vir julle herfsreën en l. gee

LET, Ef 5:15 l. op hoe julle julle gedra

LEUEN, 2Te 2:11 hulle sal die l. glo

LEUENAAR, Ps 101:7 geen l. in my teenwoordigheid
Spr 19:22 beter om arm te wees as l. te wees
Joh 8:44 Duiwel, l. en vader van leuen

LEVI, Mal 3:3 hy sal seuns van L. reinig

LEVIETE, Eks 32:26 L. het om hom bymekaargekom
Nu 3:12 L. sal myn word
2Kr 35:3 L. onderrig hele Israel

LEWE, De 30:19 ek laat jou tussen l. en dood kies
Job 14:1 l. van mens is kort
Job 14:14 As man sterf, kan hy weer l.?
Ps 36:9 By u is die bron van l.
Lu 9:24 enigiemand wat l. wil red, sal dit verloor
Joh 5:26 soos Vader l. in homself het, so ook Seun
Joh 11:25 Ek is die opstanding en die l.
Han 3:15 een wat na die l. lei, doodgemaak
Han 20:24 my eie l. nie belangrik nie
2Kor 5:15 l. nie langer vir hulleself nie
1Te 4:1 l. soos God wil hê julle moet l.
1Te 4:15 ons wat tot teenwoordigheid bly l.

LEWEND, Heb 4:12 woord van God l. en kragtig
1Pe 3:18 l. gemaak in gees

LEWENDE, Da 6:26 hy is die l. God

LEWENDES, Lu 20:38 God van l., vir hom lewe hulle

LIDIA, Han 16:14 L., pers materiaal verkoop

LIED, Ps 98:1 Sing vir Jehovah 'n nuwe l.

LIEDERE, Han 16:25 Paulus, Silas loof God, sing l.
Kol 3:16 geestelike l. met dankbaarheid gesing

LIEF, Spr 8:30 een vir wie hy besonder l. was
Joh 12:25 Enigiemand l. vir sy lewe, vernietig dit
Joh 13:1 was l. vir sy volginge tot einde toe
Joh 21:17 Simon, is jy l. vir my?
Ro 13:8 niemand iets skuld, behalwe om l. te hê
Kol 3:19 Mans, hou aan om vrouens l. te hê
1Jo 4:20 nie l. vir broer, nie l. vir God
Op 3:19 Almal vir wie ek l. is, wys ek tereg

LIEFDE, Spr 31:26 sy onderrig ander met l.
Hgl 8:6 l. is so sterk soos die dood
Mt 24:12 l. van meeste mense sal afkoel
Mr 10:21 Jesus het l. vir hom gevolg

Joh 15:13 Niemand het groter l. as
Ro 5:8 God toon sy eie l. vir ons
Ro 8:39 kan ons nie skei van God se l. nie
Ro 13:10 l. vervul die wet
1Kor 8:1 Kennis maak trots, l. bou op
1Kor 13:2 As ek geen l. het, is ek niks
1Kor 13:8 L. faal nooit nie
1Kor 13:13 grootste hiervan is l.
1Kor 16:14 Doen alles met l.
2Kor 2:8 bevestig jou l. vir hom
Kol 3:14 l. is volmaakte band van eenheid
Fim 9 ek vra jou op grond van l.
1Pe 4:8 moet intense l. hê, want l. bedek
1Jo 4:8 God is l.
1Jo 5:3 l. vir God beteken gehoorsaam gebooië
Jud 21 bly in God se l.
Op 2:4 l. verloor wat jy eers gehad het

LIEFDEVOL, 1Te 2:7 l. behandel, soos 'n ma
Jak 5:11 Jehovah baie l. en genadig

LIEFGEHAD, Joh 3:16 God wêreld so l.
Ga 2:20 Seun van God, wat my l. het
1Jo 4:10 nie dat ons God l., maar dat hy ons l.

LIEFHÊ, Le 19:18 medemens l. soos jouself
De 6:5 Jehovah l. met jou hele hart
Mt 22:37 Jy moet Jehovah l. met jou hele hart
Joh 13:34 Julle moet mekaar l.
1Jo 2:15 Moenie die wêreld l. nie
1Jo 3:18 l., nie met tong, maar met dae

LIEFHET, Joh 14:15 As julle my l., sal gehoorsaam

LIEG, Kol 3:9 Moenie vir mekaar l. nie
Tit 1:2 God, wat nie kan l. nie, het belowe

LIG, Ps 36:9 Deur u l. kan ons l. sien
Ps 119:105 U woord is 'n l. vir my pad
Jes 42:6 jou as l. vir nasies gee
Mt 5:14 Julle is die l. van die wêreld
Mt 5:16 laat julle l. voor mense skyn
Joh 8:12 Ek is die l. van die wêreld
2Kor 4:6 Laat l. uit duisternis skyn

LIGGAAM, Job 33:25 l. gesonder as toe jonk was
Mt 10:28 dié vrees wat l. doodmaak maar nie siel
Mt 26:26 Neem, eet. Dit beteken my l.
1Kor 7:4 nie gesag oor sy l., maar sy vrou het
1Kor 15:44 fisiese l. gesaai, geestelike l. opgewek

LIGGAAMSDEEL, 1Kor 12:18 God het elke l. geplaaas

LIGGAME, Ro 6:13 bied julle l. vir God aan
Ro 12:1 bied l. aan as offerande wat lewend is
Flp 3:21 ons nederige l. verander om

LIGTE, Flp 2:15 skyn as l.

LIPPE, Spr 10:19 l. beheer, tree verstandig op
Jes 29:13 hulle eer my met hulle l.
Ho 14:2 sal lof van ons l. offer
Heb 13:15 loffer, vrug van l.

LOF, Spr 27:21 mens getoets deur l. wat hy ontvang

LOFLIEDERE, Ne 12:46 l. en dankliedere

LOFOFFER, Heb 13:15 bring aan God l.

LOGIES, Han 9:22 l. bewys dat Jesus die Christus

LOGIESE, Lu 1:3 skryf dit in l. volgorde

LOJAAL, Jos 23:8 l. bly aan Jehovah
2Sa 22:26 Aan iemand wat l., is u l.

LOJALE, Ps 16:10 nie toelaat dat l. kneg in graf bly

LOJALE LIEFDE, Eks 34:6 Jehovah vol l.
Ps 13:5 Ek vertrou op u l.
Ps 136:1-26 Sy l. duur vir ewig
Ho 6:6 liever vir l. as vir offerandes

LOJALE, 1Sa 2:9 bewaar voetstappe van l.
Ps 37:28 Jehovah sal nie l. verlaat nie

LOJALITEIT, Mi 6:8 geregtigheid beoefen, l. liefhê

LOOF, Ps 147:1 aangenaam en gepas om hom te l.
LOOF JAH, Ps 146:1 L.! Laat my hele wese
 Ps 150:6 alles wat asemhaal, L.
 Op 19:1 groot skare sê: L.!

LOON, Jer 22:13 een wat weier om l. te betaal
LOOP, Joh 6:19 gesien dat Jesus op see l.
LOOPBAAN, Han 20:24 l. en bediening voltooi
LOSKOOP, Ps 49:7 nie een kan 'n broer l.
 Ho 13:14 Uit Graf sal ek hulle l.
LOSMAAK, Mt 18:18 alles wat julle op aarde l.
LOSPRYS, Ps 49:7 nie een kan aan God 'n l. gee
 Mt 20:28 Seun van mens gekom, lewe as l. te gee
 Ro 8:23 deur l. van ons liggaam bevry
LOT, Ps 22:18 hulle werp die l. oor my klerne
 Lu 17:32 Dink aan die vrou van L.
 2Pe 2:7 hy het regverdigde L. verlos
LOU, Op 3:16 Omdat jy l. is
LUG, 1Kor 14:9 Julle sal in die l. praat
 Ef 2:2 heerser van mag van die l.
LUI, Mt 25:26 goddelose en l. slaaf
 Ro 12:11 Wees hardwerkend, nie l. nie
LUIAARD, Spr 6:6 Gaan na mier, jou l.
 Spr 10:26 Soos rook vir oë, is l.
 Spr 19:24 l. steek sy hand in feesbak
 Spr 20:4 l. ploeg nie in die winter nie
LUIPERD, Jes 11:6 l. sal by boklam lê
 Da 7:6 ander dier soos l. gelyk
LUISTER, Spr 1:5 Wyse persoon l.
 Ese 2:7 my woorde bekend maak, of hulle l. of nie
 Mt 17:5 my Seun, die geliefde. l. na hom
 Lu 10:16 Wie na julle l., l. na my
 Han 4:19 reg om na julle te l. eerder as God
LUKAS, Kol 4:14 L., die geliefde dokter
LY, Jes 38:14 Jehovah, ek l. verskriklik
 Ro 8:17 erfgename as ons saam l.
 Ro 8:18 Ons l., maar dit is niks in vergelyking
 1Kor 12:26 As een l., l. al die ander
 Flp 1:29 voorreg om vir hom te l.
 1Te 2:14 eie mense het julle laat l.
 Heb 2:10 tot volmaaktheid bring deur hom te laat l.
 1Pe 3:14 gelukkig as julle vir regverdigheid l.
 1Pe 5:9 weet dat broers op dieselfde manier l.

M

MA, Eks 20:12 Eer jou pa en jou m.
 Ps 27:10 al verlaat my eie pa en m. my
 Spr 23:22 nie neersien op m. omdat sy oud geword
 Lu 8:21 My m. en broers is die wat
 Joh 19:27 vir dissipel gesê: Kyk, jou m.!

MAAG, Flp 3:19 hulle god is hulle m.
MAAGDE, Mt 25:1 Koninkryk vergelyk met tien m.
 1Kor 7:25 Vir m. het ek nie 'n bevel nie
MAAN, Jl 2:31 m. sal in bloed verander
 Lu 21:25 tekens in son, m. en sterre
MAATHOUER, Lu 6:38 met m. waarmee julle uitmeit
MAG, Spr 28:16 Leier sonder insig misbruik sy m.
 Joh 12:38 aan wie is m. van Jehovah geopenbaar?
MAGOG, Ese 38:2 Gog van die land M.
MAL, Joh 10:20 het 'n demoon en is m.
MALTA, Han 28:1 uitgevind dat eiland M. genoem
MAN, Le 20:13 m. seksuele omgang met m.
 1Kor 7:2 elke vrou haar eie m. hê
 1Kor 7:14 die ongelowige m. is geheilig
MANASSE, 2Kor 33:13 Toe het M. gekort dat Jehovah
MANDJIES, Mt 14:20 oorskietstukke, 12 m. vol
MANIER, Han 1:11 dieselfde m. kom as sien gaan
 Flp 1:27 Gedra op m. wat goeie nuus waardig

MANNA, Eks 16:31 Israel het brood m. genoem
 Jos 5:12 die m. het opgehou
MANOAG, Rig 13:8 M.: Wat doen met kind?
MANS, Ef 5:25 M., hou aan om julle vrouens lief te hê
 Kol 3:18 Vrouens, wees onderdanig aan julle m.
MARIA 1., Mr 6:3 timmerman, seun van M.
MARIA 2., Lu 10:39 M. by voete gesit en luister
 Lu 10:42 M. goeie deel gekies
 Joh 12:3 M. duur lekkerruik-olie geneem
MARIA 3., Mt 27:56 M. Magdalena en
 Lu 8:2 M. Magdalena, uit wie sewe demone
MARIA 4., Mt 27:56 M., ma van Jakobus
MARIA 5., Han 12:12 M., ma van Johannes Markus
MARKPLEIN, Han 17:17 geredeneer op m.
MARKUS, Kol 4:10 M., neef van Barnabas
MARTA, Lu 10:41 M., bekommerd oor baie dinge
MASEDONIË, Han 16:9 Kom oor na M.
MEDEGELOWIGES, Ga 6:10 goed doen aan m.
MEDELYE, Eks 34:6 Jehovah, genadig en betoon m.
 Kol 3:12 betoon intense m.
 1Jo 3:17 weier om m. aan hom te betoon
MEDEWERKERS, 1Kor 3:9 ons is God se m.
MEDISYNE, Spr 17:22 Vreugdevolle hart goeie m.
MEER, 1Te 4:10 spoor julle aan dit nog m. te doen
MEERDERHEID, Eks 23:2 nie agter m. aangaan
MEESTER, Mt 9:38 Smeek M. van oes, werkers stuur
 Ro 6:14 sonde moenie m. oor julle wees nie
 Ro 14:4 m. oordeel of hy staan of val
 Kol 4:1 julle het ook 'n M. in hemel
MEESTERS, Mt 6:24 Niemand twee m. as slaaf dien
MEESTERWERKER, Spr 8:30 m. saam met hom
MEISIE, Mr 5:42 m. staan op en begin loop
MEISIJIE, 2Kn 5:2 m. gevange geneem
MEKAAR, Ro 11:2 m. aanmoedig deur ons geloof
 Kol 3:16 Hou aan om m. aan te moedig
MELAATSE, Le 13:45 m. moet uitroep: Onrein!
MELAATSHED, Nu 12:10 Mirjam getref met m.
 Lu 5:12 man vol m.
MELGISEDEK, Ge 14:18 M., koning en priester
 Ps 110:4 vir ewig priester, soos M.
MELK, Eks 3:8 land wat oorloop van m. en heuning
 Jes 60:16 m. van nasies drink
 Heb 5:12 nou weer m. nodig
 1Pe 2:2 verlange na suiwer m. van woord
MENSTRUEER, Le 15:19 m., sewe dae onrein
MENSTRUELE, Le 18:19 nie omgang m. onreinheid
MENS VAN WETTELOOSHEID, 2Te 2:3 eers m.
MERK, Ese 9:4 om te die voorpoepe
 2Te 3:14 hom m., ophou assosieer
 Op 13:17 nie koop, behalwe iemand met m.
MESSIAS, Da 9:25 totdat M. die Leier kom, sal daer
 Da 9:26 ná 62 weke M. doodgemaak
 Joh 1:41 Ons het die M. gevind
 Joh 4:25 Ek weet dat M. kom, Christus
METAALSPIEËL, 1Kor 13:12 onduidelike beeld in m.
METODES, 1Kor 4:17 herinner aan m. wat ek volg
MIDDELAAR, 1Ti 2:5 een m. tussen God en mense
MIER, Spr 6:6 Gaan na m., luiaard
MIERE, Spr 30:25 M. bêre kos in somer
MIGAËL, Da 10:13 M., een van vernaamste prinse
 Da 12:1 Gedurende daardie tyd sal M. opstaan
 Op 12:7 M. en sy engele het geveg
MINA, Lu 19:16 met u een m. nog tien minas gekry
MINDERE, Lu 9:48 as m. gedra
MINSTE, Lu 16:10 in m. getrou, ook in baie getrou
MIRJAM, Nu 12:1 m. en Aäron teen Moses
MIS, Jak 4:14 julle is 'n m. wat klein rukkies verskyn

MISBRUIK, 1Kor 9:18 sodat ek nie my reg m. nie
2Kor 7:2 ons het van niemand m. gemaak
1Te 4:6 nie medegelowige m. nie

MISKRAME, Eks 23:26 vrouens sal nie m. hê nie

MISLEI, Mt 24:24 sal dié wat uitgekies, probeer m.
Ga 6:7 nie m. word: God laat hom nie bespot nie

MISLUK, Jes 14:27 Jehovah besluit, wie kan laat m.?

MISMOEDIG, 2Kor 15:7 moenie m. word nie
Ps 34:18 Hy red dié wat m. is
Spr 24:10 As jy m. word in moeilike tye, min krag

MODDER, 1Kor 4:13 naam deur m., sagte antwoord

MOED, Spr 28:1 regverdiges het m. van leeu
Han 28:15 Toe Paulus hulle sien, nuwe m. gekry
2Kor 4:1 ons het hierdie bediening, gee nie m. op
2Kor 4:16 Daarom gee ons nie m. op nie
2Kor 5:6 ons is altyd vol m.
Flp 1:14 m. om woord van God te verkondig
1Te 2:2 hulp van God m. bymekaargeskraap

MOEDELOOS, Kol 3:21 sodat hulle nie m. word nie

MOEDER, Ga 4:26 Jerusalem daar bo is ons m.

MOEDIG, Jos 1:7 Wees m. en baie sterk
Han 4:31 die woord m. verkondig
1Kor 16:13 staan vas in geloof, wees m.
Ef 6:20 bid sodat ek m. kan praat

MOEG, Spr 25:25 soos koue water vir siel wat m. is
Jes 40:28 Hy raak nooit m. of uitgeput
Jes 40:29 Hy gee krag aan een wat m. is
Jes 40:31 sal loop en nie m. raak nie
Jes 50:4 weet wat om te sê vir een wat m. is
Ga 6:9 sal oes as nie m. word nie
Heb 12:3 nie m. word en moed opgee nie

MOEILIKE, Spr 21:19 strygerige en m. vrou

MOEILIKE TYD, 1Sa 1:15 vrou wat deur baie m. gaan

MOEILIKE TYE, Job 36:15 in m. red God dié wat ly
Ps 46:1 hulp maklik gevind in m.
Lu 22:28 Julle het in m. by my gebly
Ro 12:12 Wees bly oor hoop. Volhard wanneer m.
2Kor 4:17 m. duur kort rukkies en is lig
2Te 1:4 volharding en geloof ten spyte van m.
Jak 1:2 bly wees wanneer deur m. gaan
Jak 1:12 Gelukkig mens wat volhard in m.

MOEILIKHEID, Ps 94:20 m. maak in naam van wet?

MOEITE, Mal 1:13 Kyk! Dit is soveel m!
1Pe 4:18 as regverdige met m. gered, wat sal

MOND, Ps 8:2 Uit die m. van kinders
Ro 10:10 geloof met m. bekend maak
Jak 3:10 Uit dieselfde m. seën en vervloeking

MOOL, Spr 6:25 nie in hart begeer omdat sy m. is
Spr 19:11 dit is m. om oortreding oor te sien
Spr 31:30 m. voorkoms hou nie vir altyd
Mt 25:21 M. so, goeie en getroue slaaf!

MOOIPRAATJIES, Ro 16:18 verlei harte met m.

MOONTLIK, Spr 3:27 nie goeie terughou as m.

MOORD, Eks 20:13 Jy mag nie m. pleeg nie

MOORDENAAR, Joh 8:44 m. van die begin af

MÔRE, Spr 27:1 Moenie spog oor m. nie
1Kor 15:32 eet en drink, want m. sterf

MOSES, Nu 12:3 M. nederigste van al die mense
Ps 106:32 sleg gegaan met M. as gevolg van hulle
Han 7:22 M. kragtig in woorde en dade
2Kor 3:7 kon nie na M. se gesig bly kyk

MOSSIES, Mt 10:29 Twee m. vir muntstuk verkoop

MOSTERDSAADJIE, Lu 13:19 soos m. wat man plant

MURE, Ese 38:11 nie deur m., grendeels beskerm

MUUR, Jos 6:5 m. van stad sal inmeekaarstort
Da 5:5 hand skryf op m. van paleis
Jl 2:7 soos soldate klim hulle teen m. op

N

NAAM, Eks 3:13 Sê nou hulle vra: Wat is sy n.?
Eks 3:15 Jehovah. Dit is my n. vir ewig
Eks 9:16 n. oor aarde bekend gemaak word
Eks 20:7 nie n. op disrespekvolle manier gebruik
1Sa 17:45 kom na jou toe in n. van Jehovah
1Kor 29:13 ons loof u pragtige n.
Ps 9:10 Dié wat u n. ken, sal op u vertrou
Ps 79:9 ter wille van u n.
Spr 18:10 n. van Jehovah sterk toring
Spr 22:1 Goeie n. beter as rykdom
Pr 7:1 Goeie n. beter as goeie olie
Jer 23:27 wil my volk my n. laat vergeet
Ese 39:25 Ek sal my heilige n. verdedig
Mal 1:11 my n. sal groot wees onder nasies
Mal 3:16 vir dié wat oor sy n. nadink
Mt 6:9 laat u n. geheilig word
Joh 12:28 Vader, verheerlik u n.
Joh 14:14 enigiets in my n. vra, sal ek doen
Joh 17:26 het u n. bekend gemaak
Han 4:12 geen ander n. waardeur ons gered word
Han 15:14 uit hulle 'n volk vir sy n. kan neem
Ro 10:13 n. van Jehovah aanroep, sal gered word
Flp 2:9 n. wat bo elke ander n. is

NAASTE, Lu 10:27 jou n. liefhê soos jouself
Lu 10:36 Wie het hom n. gemaak

NABY, Ps 145:18 Jehovah n. almal wat hom aanroep

NADER, Ps 73:28 vir my goed om n. aan God te kom

NADINK, Jos 1:8 Wetboek lees, daaroor n.
Ps 1:2 Sy wet lees, daaroor n.
Ps 77:12 n. oor alles wat u doen

NAG, Ps 19:2 n. ná n. openbaar hulle kennis
Ro 13:12 n. amper verby, dag naby

NAGESLAG, Ge 3:15 vyandskap, jou n. en haar n.
Ge 22:17 jou n. beslis vermeerder
Jes 65:23 die n. wat deur Jehovah geseën is
Ga 3:16 aan jou n., dit is Christus
Ga 3:29 werklik Abraham se n., erfgename

NAIN, Lu 7:11 na stad n. gereis

NALATIG, Da 6:4 Daniël glad nie n.

NASIE, Eks 19:6 koninkryk van priesters en heilige n.
Ps 33:12 Gelukkig is n. wie se God Jehovah is
Jes 66:8 sal n. in oomblik gebore word?
Mt 21:43 Koninkryk aan n. wat vrugte voortbring
Mt 24:7 n. sal teen n. opstaan
Han 17:26 uit een mens elke n. gemaak
1Pe 2:9 uitverkore ras, heilige n.

NASIES, Ge 22:18 n. sal seën verkry
Mt 25:32 n. sal voor hom versamel word
Lu 21:24 vasgestelde tye van n. verby
1Pe 4:3 lank genoeg wil van n. gedoen

NATAN, 2Sa 12:7 N. gesê: U is die man!

NATGEGOOI, 1Kor 3:6 Ek geplant, Apollos n.

NATUURLIK, Le 18:23 skending van wat n. is

NATUURLIKE, Ro 1:26 vrouens n. omgang verander
Ro 1:27 mans nie meer n. omgang met vrouens

NAVOLGERS, 1Kor 11:1 n. van my, ek van Christus
Ef 5:1 Word n. van God

NEDERIG, Sag 9:9 n. en ry op donkie
Mt 18:4 Elkeen n. soos hierdie kind
Jak 4:10 Wees n. in oë van Jehovah
1Pe 5:6 Onderwerp julle n. aan magtige hand

NEDERIGES, Ps 37:11 n. sal aarde besit
Jes 57:15 om n. nuwe krag te gee
Sef 2:3 soek Jehovah, alle n. van aarde
Jak 4:6 gee onverdiende goedheid aan n.

NEDERIGHEID, De 8:2 om julle n. te leer en te toets
 Spr 15:33 n. lei tot eer
NEERGESIEN, Jes 53:3 Mense op hom n. en vermy
NEFILIM, Ge 6:4 N. op aarde
NEGATIEFS, Tit 2:8 niks n. van ons kan sê
NEIGING, Ge 8:21 n. van hart sleg van jongs af
NETTE, Lu 5:4 laat sak n. vir vangs
NIKS, Ga 6:3 dink dat hy iets is terwyl hy n. is
NIKSWERD, Lu 17:10 Ons is n. slawe
NINEVE, Jon 4:11 Moet ek nie jammer voel vir N.?
NOAG, Ge 6:9 N. met God gewandel
 Mt 24:37 soos dae van N., so sal teenwoordigheid
NODIG, Mt 5:3 besef dat hulle God n. het
 Mt 6:32 Vader weet julle al hierdie dinge n. het
 Ro 12:3 nie meer van homself dink as wat n. is
 Ro 12:13 Deel volgens wat hulle n. het
NOODLOT, Jes 65:11 wyn vir die god van N.
NOU, Mt 7:13 Gaan in deur n. poort
NUTTeloos, Pr 1:2 heeltelmal n!
 Jes 41:29 metaalbeelde n.
NUTTIG, 2Ti 3:16 deur God geïnspireer en n.
NUUS, Ps 112:7 nie bang vir slegte n.
NUUT, Op 21:5 Kyk! Ek maak alles n.
NUUTS, Han 17:21 vertel of luister na iets n.
NUWE, Jes 42:9 ek kondig n. dinge aan
 Joh 13:34 Ek gee julle n. gebod
 Op 21:1 n. hemel en n. aarde

O

OBSESSIE, 1Ti 6:4 o. met argumente en debatte
OË, Ps 115:5 [afgode] het o., maar kan nie sien
 Spr 15:3 o. van Jehovah is oral
OES, Pr 11:4 een wat na wolke kyk, sal nie o.
 Ho 8:7 saai wind, sal stormwind o.
 Mt 9:37 o. is groot, maar werkers min
 2Kor 9:6 spaarsamig saai, spaarsamig o.
 Ga 6:7 wat mens saai, sal hy o.
 Ga 6:9 ons sal o. as nie moeg word
OFFER, 2Sa 24:24 nie o. as wat my niks kos
OFFERANDE, 1Sa 15:22 gehoorsaamheid beter as o.
 Ps 40:6 nie o. of offergawe hê
 Ps 51:17 o. aangenaam vir God, is gebroke gees
 Spr 15:8 o. van goddeloses afskuwelik vir Jehovah
 Ro 12:1 bied julle liggawe aan as o.
OFFERANDES, Ho 6:6 liever lojale liefde as o.
OFFENDLIG, Spr 4:18 pad van regverdiges soos o.
OLIE, 1Kn 17:16 klein kruit o. nie leeggeraak
 Mt 25:4 verstandige maagde fles o. saamgevat
 Mr 14:4 Hoekom is hierdie o. gemors?
OLYFBERG, Lu 22:39 Hy het na O. gegaan
 Han 1:12 O., naby Jerusalem, omtrent kilometer
OLYFBOOM, Ps 52:8 soos o. in God se huis
 Ro 11:17 wilde o., tussen hulle geënt
OMKOOPGESKENK, Pr 7:7 o. laat hart sleg word
ONBEDRYWIG, 2Pe 1:8 nie o. of onproduktief word
ONBELANGRIK, Ps 119:141 Ek is o., op my neergesien
ONBELANGRIKE, 1Kor 1:28 God o. dinge uitgekies
ONDANKBAAR, Spr 29:21 kneg bederf, o. word
ONDERDANIG, Lu 2:51 aan hulle o. gebly
 Ro 13:1 wees o. aan hoër owerhede
 Heb 13:17 wees o. aan dié wat leiding neem
ONDERDRUKKERS, Pr 4:1 o. het mag gehad
ONDERDRUKKING, Ps 72:14 Van o. en geweld red
 Pr 7:7 o. kan wyse dwaas laat optree
ONDERRIG, 1Ti 2:12 Ek laat vrou nie toe om te o.
 2Ti 4:2 Doen dit deur god te o.

ONDERRIGTERS, Ps 119:99 meer insig as al my o.
 Ef 4:11 party as herders en o.
ONDERSKEI, Heb 5:14 o. wat reg en verkeerd is
ONDERSKEID, Le 11:47 o. maak tussen wat onrein en
ONDERSOEK, De 13:14 saak goed o.
 Ps 26:2 O. my, o Jehovah, en toets my hart
 Spr 21:2 Jehovah o. die hart
 Spr 25:2 konings geëer omdat hulle saak o.
 Da 12:4 Baie sal dit deeglik o.
 Han 17:11 hulle het Skrif elke dag deeglik o.
 1Kor 11:28 homself eers goed o. en dan goedkeur
 Ga 6:4 laat elkeen eie dade o.
 1Pe 1:10 ywerig navorsing, sorgvuldig o.
ONDERVIND, Ps 34:8 o. en sien dat Jehovah goed
 1Pe 2:3 o. dat die Here goed is
ONDERWERP, 1Pe 2:13 o. julle aan koning
ONDUIDELIKE, 1Kor 14:8 trompet o. geluid maak
ONEERLIK, Da 6:4 Daniël nie nalatig of o.
ONEERLIKE, Spr 15:27 op 'n o. manier wins maak
ONEINDIG, Ef 3:20 o. meer vir ons doen
ONENIGHEID, Spr 6:19 o. tussen broers veroorsaak
ONERVARE, Spr 14:15 lemand o., glo elke woord
ONERVARENE, Ps 19:7 maak die o. wys
 Spr 22:3 o. moet gevolge dra
ONGEDULDIG, Spr 14:29 een wat o., wys hy is dwaas
ONGEHOORSAAM, Joh 3:36 aan Seun o., nie lewe
 1Te 5:14 Waarsku dié wat o. is
ONGELEERDE, Han 4:13 o. en gewone mense
ONGELOWIGE, 1Kor 7:12 o. vrou bereid om te bly
ONGELOWIGES, 1Kor 6:6 hof toe, en dit voor o.!
 2Kor 6:14 nie onder ongelyke juk met o.
ONGETROUDE, 1Kor 7:32 o. besorg, dinge van Here
ONGEVOELIG, Mt 13:15 hart van volk o. geword
 Mr 3:5 hartseer omdat harte o.
ONINGELIK, 1Ti 1:13 ek was o.
ONKREUKBAARHEID. Sien INTEGRITEIT.
ONMOONTLIK, Ge 18:14 o. vir Jehovah?
 Job 42:2 niks vir u o.
 Mt 19:26 Vir mense o., maar vir God moontlik
ONNATUURLIKE, Jud 7 o. begeertes nagejaag
ONREDELIKE, Lu 12:20 o. mens, vanaand sterf jy
ONREG, 1Kor 6:7 laat eerder o. toe
ONREGVERDIG, De 32:4 God is nooit o.
 Job 34:12 Almagtige is nooit o.
 1Pe 2:19 weens gewete o. ly, God se hart bly
ONREGVERDIGE, 1Kor 6:9 o. mense Koninkryk nie erf
ONREGVERDIGES, Han 24:15 opstanding van o.
ONREGVERDIGHEID, Ro 9:14 o. by God? Beslis nie!
ONREIN, Le 13:45 uitroep o., o.!
 Jes 52:11 gaan daar uit, aan niks raak wat o. is nie
ONREINHEID, Ro 1:24 God hulle oorgegee aan o.
 Kol 3:5 seksuele onsedelikheid o.
ONSIGBARE, Ro 1:20 o. eienskappe duidelik gesien
 Heb 11:27 soos iemand wat O. sien
ONTHEILIG, Ese 39:7 my heilige naam nie meer o.
ONTLASTING, De 23:13 buite, bedek dan o.
ONTROU, Spr 30:9 nie te veel het en o. word
ONTSPAN, Lu 12:19 O., eet, drink, geniet lewe
ONTSTEL, Da 11:44 berigte sal hom o.
ONTSTELD, Ps 37:8 nie o. word en doen wat sleg
ONTVOERDER, De 24:7 die o. moet sterf
ONVERDIENDE GOEDHEID, Joh 1:17 o. deur Jesus
 1Kor 15:10 sy o. teenoor my nie verniet
 2Kor 6:1 nie o. aanvaar en doel daarvan mis
 2Kor 12:9 My o. is genoeg vir jou
ONVERWAGSE, Pr 9:11 tyd en o. gebeure

ONVRUGBAAR, Eks 23:26 vrouens sal nie o. wees nie
ONVRUGBARE, Jes 54:1 Roep vreugdevol uit, o. vrou
ONWAARDIGE, 1Kor 11:27 o. manier uit beker drink
OOG, Mt 5:38 o. vir o. en tand vir tand
 Mt 6:22 As o. gefokus is, hele liggaam helder
 1Kor 2:9 o. nie gesien, oor nie gehoor
 1Kor 12:21 o. nie vir hand sê, het jou nie nodig
OOGAPPEL, Sag 2:8 raak aan my o.
OOGSALF, Op 3:18 o. te smeer, sodat jy kan sien
OOGWINK, 1Kor 15:52 in 'n o.
OOILAMMETJIE, 2Sa 12:3 niks gehad behalwe o.
OOMBLIK, Ps 30:5 sy woede net vir o.
 Jes 26:20 Verberg julle vir o.
 Lu 21:34 dag skielik, in o., kom
OORBLYFSELS, Le 19:9 o. van jou oes optel
OORBLYWENDES, Op 12:17 oorlog teen o.
OORDEEL, Mt 7:2 met o. waarmee julle oordeel, sal
 Lu 6:37 Hou op o., en julle sal nie geoordeel word
 Lu 22:30 op trone sit om 12 stamme te o.
 Joh 5:22 Vader o. aan Seun oorgelaat
 Joh 7:24 Hou op o. volgens wat julle sien
 Han 17:31 dag vasgestel waarop hy sal o.
 Ro 14:4 Wie is jy om iemand se kneg te o.?
 Ro 14:12 elkeen volgens dade o.
 1Kor 6:2 weet julle nie dat heiliges wêreld sal o.?
 1Kor 11:29 eet en drink o. oor homself
 Jak 4:12 wie is jy om naaste te o.?
 1Pe 4:17 o. begin by huis van God
OORDELE, Jes 26:9 wanneer u o. oor aarde kom
OORGEE, 2Kor 12:15 myself heeltemal vir julle o.
OORGELAAT, Spr 29:15 kind aan self o., skande
 Joh 8:29 Hy het my nie aan myself o. nie
 1Pe 2:23 hy het saak o. aan Een wat
OORGERUSTHEID, Spr 1:32 o. van dwase
OORHAASTIG, Spr 19:2 een wat o. optree, sondig
OORHAND, Jer 1:19 sal nie o. oor jou kry
OORHEERS, Ge 3:16 jou man sal jou o.
 Ps 119:133 Laat niks wat sleg is my o. nie
OORLAAT, 1Pe 4:19 ly, self o. aan Skepper
OORLOË, Ps 46:9 Hy maak einde aan o.
OORLOG, Jes 2:4 nie meer leer om o. te voer nie
 Ho 2:18 swaard en o. uit land wegneem
 Op 12:7 o. in hemel uitgebreek: Migael
 Op 16:14 o. van groot dag van God
OORREED, 1Kor 2:4 nie woorde om julle te o.
 2Kor 5:11 hou aan om mense te o.
OORSKIETSTUKKE, Mt 14:20 o., 12 mandjies vol
OORTREDING, Spr 17:9 een wat oor o. bly praat
OORTREDINGS, Ps 130:3 As u boekhou van o.
OORTREF, Spr 31:29 goeie vrouens, jy o. almal
OORTUIG, Ro 4:21 o. dat God doen wat Hy belowe
 Ro 8:38 ek is o. dat nie dood of lewe
 Ro 15:14 Ek is o., my broers, dat julle
 2Ti 3:14 wat jy geleer en o. is om te glo
OORTUIGING, Kol 4:12 volle o. in die wil van God
 1Te 1:5 met heilige gees en sterk o.
OORVLOED, Ps 72:16 volop graan, o. op berge
 Lu 6:45 uit o. van hart praat mond
 Lu 12:15 selfs wanneer iemand o. het, sy lewe
 Joh 10:10 lewe kan hê, en dit in o. kan hê
OORVLOEDIG, Jak 1:5 aanhou God vra, hy gee o.
OORWELDIG, Ps 40:12 o. deur my sondes
 Lu 21:34 pasop dat harte nooit o. word
OORWIN, Joh 16:33 Ek het die wêreld o.
 Ro 8:37 in al hierdie dinge heeltemal o. deur hom
 Ro 12:21 hou aan om slegte met goeie te o.
 Op 2:7 Ek sal die een wat o., toelaat om

OORWINNING, Op 6:2 oorwin en sy o. voltooi
OORWINNINGSOPTOG, 2Kor 2:14 ons in o. lei
OOSTE, Jes 41:2 iemand van o. af laat opstaan
OPBOU, 1Kor 14:26 alles sodat julle mekaar kan o.
 Tit 1:9 deur lering kan o. en teregwys
 Jud 20 op julle allerheiligste geloof o.
OPENBAAR, Ro 10:10 geloof in o. bekend maak
OPGEE, Flp 2:7 alles o. en soos slaaf geword
OPGEVAAR, Joh 3:13 geen mens na hemel o.
OPGEVOED, Han 22:3 o. aan die voete van Gamaliël
OPGEWEK, Han 2:24 Maar God het hom o.
OPHOU, Han 5:42 mense sonder o. leer
 Ga 6:9 nie o. doen wat goed is nie
OPINIE, Ro 14:1 nie iemand oordeel as hy ander o.
OPLEI, Spr 22:6 kind o., selfs as oud word, nie verlaat
OPLEIDING, 1Pe 5:10 God sal julle o. voltooi
OPMAAK, Lu 24:11 gedink dat vrouens dinge o.
OPROER, Han 17:5 groot groep, o. veroorsaak
OPSETLIK, Heb 10:26 as ons o. sonde beoefen
OPSIENER, 1Ti 3:1 As man o. wil wees
 1Pe 2:25 herder en o. van julle siele
OPSIENERS, Jes 60:17 Ek sal vrede as jou o. aanstel
 Han 20:28 heilige gees het julle as o. aangestel
 1Pe 5:2 dien gewillig as o.
OPSIENERSAMP, Han 1:20 iemand anders sy o. neem
OPSTAND, Spr 24:21 nie assosieer met dié wat in o.
 Han 17:7 o. teen bevel van keiser
OPSTANDIGES, Nu 20:10 Luister, julle o.!
OPSTANDIGHEID, 1Sa 15:23 o., waarsêery, dieselfde
OPSTANDING, Mt 22:23 Sadduseërs sê geen o.
 Mt 22:30 in o. nie trou nie
 Joh 5:29 uitkom tot o. van die lewe
 Joh 11:24 Ek weet hy sal in o. opstaan
 Joh 11:25 Ek is die o. en die lewe
 Han 24:15 o. van regverdiges en onregverdiges
 1Kor 15:13 As geen o., Christus nie opgewek
OPTEL, Rut 2:8 Boas: Moenie op ander landery o.
OPWEK, Joh 6:39 dat ek hulle op laaste dag o.
ORDELIK, 1Kor 14:40 alles reg en o. plaasvind
 1Ti 3:2 opsiener moet verstandig, o. wees
ORDENTLIK, Ro 13:13 o. gedra, soos mense in dag
OUD, Ps 37:25 Ek was eens jonk, nou o.
 Ps 92:14 selfs wanneer o., nog floreer
OUDAG, Ps 71:9 Moenie my verstoort op my o.
OUERMANNE, Tit 1:5 o. aan te stel
OUIERS, Lu 18:29 o. verlaat ter wille van Koninkryk
 Lu 21:16 selfs deur o. oorlewer
 2Kor 12:14 o. moet spaar vir kinders
 Ef 6:1 wees gehoorsaam aan o.
 Kol 3:20 wees in alles gehoorsaam aan o.
OUERMANNE, Da 7:9 o. het gaan sit
OWERHEDE, Ro 13:1 onderdanig aan hoër o.
 Tit 3:1 gehoorsaam aan o.

P

PA, Ge 2:24 man sy p. en ma verlaat
 Lu 15:20 p. hardloop en omhels hom
PAAL, Mr 15:25 hom aan p. gehang
 Lu 23:21 Hang hom aan die p.!
 Ga 3:13 Vervloek is elkeen wat aan p. gehang is
PAD, Spr 4:18 p. van regverdiges soos oggendlig
 Mt 7:14 smal is die p. wat na die lewe lei
 Mt 13:4 van die saad het langs p. geval
PALE, Lu 19:43 versterkte muur met skerp p.
PANIEKERIG, Jes 28:16 geloof beoefen, nie p. raak
PARADYS, Lu 23:43 Jy sal met my in P. wees
 2Kor 12:4 tot in die p. weggeruk

PARTYDIG, De 10:17 God behandel niemand p. nie
 Han 10:34 verstaan dat God nie p. is nie
PARTYTIJES, Ro 13:13 wilde p. en dronkenskap
 Ga 5:21 dronkenskap, wilde p. en
PAS, Ge 33:14 volgens die p. van vee en kinders
 Ef 4:1 lewe op manier wat p. by roeping
PASGA, Eks 12:11 Dit is Jehovah se P.
 Eks 12:27 P. aan Jehovah, by huise verbygegaan
PASGA-LAM, 1Kor 5:7 Christus, ons P., is geoffer
PATETIESE, Ro 7:24 P. mens wat ek is!
PATROON, 2Ti 1:13 p. van gesonde woorde
PAULUS. Sien ook SAULUS, 1Kor 1:12 behoort, P.
PEINS, Ge 24:63 Isak in veld om te p.
PERD, Op 6:2 wit p. en een wat daarop sit
 Op 19:11 en kyk! 'n wit p.
PÉRELS, Mt 7:6 nie p. voor varke gooi nie
 Mt 13:45 Koninkryk soos handelaar wat p. soek
PERKE, Ps 119:96 u gebod het geen p.
PERSOONLIKHEID, Ef 4:24 nuwe p. aantrek
 Kol 3:9 Trek ou p. met sy gebruike uit
PETRUS, Mt 14:29 P. oor water geloop
 Lu 22:54 P. het op afstand gevolg
 Joh 18:10 P., swaard gehad, regteroor afgekop
 Han 12:5 P. in tronk, die gemeente bid
PILAAR, 1Ti 3:15 p. en fondament van waarheid
PILARE, Ga 2:9 dié wat as p. beskou is
PILATUS, Joh 19:6 P.: Vind niks waaraan hy skuldig
PINEHAS, Nu 25:7 Toe P. sien, neem hy spies
PLAAG, Eks 11:1 nog een p. oor Farao
PLAAG, Op 18:4 nie deel van haar p. wil ontvang
PLAN, Eks 26:30 tabernakel oprig volgens p.
 1Kn 6:38 huis volgens p. voltooi
PLANNE, Spr 15:22 P. misluk as saak nie bespreek
 Spr 19:21 baie p. in man se hart, maar
 2Kor 2:11 Satan nie oorhand, ons ken sy p.
PLANT, Jes 65:22 sal nie p. sodat ander dit eet
PLEIT, Ro 8:34 Christus Jesus p. vir ons
PLEK, Lu 21:11 vreeslike siektes op een p. ná ander
PLESIERE, Lu 8:14 afgelei deur p.
PLIG, 1Kor 7:3 Laat man sy p. teenoor vrou nakom
PLOEG, Lu 9:62 begin p. en kyk na wat agter
POEL, Op 19:20 p. van vuur brand met swael
POORT, Mt 7:13 Gaan in deur nou p.
POTTEBAKKER, Jes 64:8 Ons is klei, u is ons P.
 Ro 9:21 Het p. nie gesag
PRAAT, Spr 14:23 om net te p., lei tot armoede
 Spr 29:20 man gesien wat p. sonder om te dink?
PRAKTIGE LAND, Da 11:45 en die berg van P.
PRAKTIESE, Lu 16:8 in p. opsig wyser as kinders van
PRAKTIESE WYSHEID, Spr 2:7 bewaar p. as skat
 Spr 3:21 Bewaar p. en denkvermoë
 Lu 16:8 bestuurder met p. opgetree
PREDIKER, 2Pe 2:5 Noag, p. van regverdigheid
PREEK, Ro 10:14 hoe hoor as iemand nie p.?
PRIESTER, Ps 110:4 vir ewig p. soos
 Ho 4:6 kennis verwerp, jou as p. verwerp
 Mal 2:7 lippe van p. moet kennis bewaar
PRIESTERDOM, 1Pe 2:9 koninklike p., heilige nasie
PRIESTERS, Mi 3:11 haar p. onderrig teen prys
 Han 6:7 groot groep p. word gelowiges
 Op 20:6 p. van God en 1 000 jaar regeer
PRINS, Jes 9:6 sal genoem word: P. van Vrede
 Da 10:13 p. van Persië tegeestaan
PRINSE, Jes 32:1 p. sal in geregtigheid heers
PRISCILLA, Han 18:26 P., Aquila hom saamgeneem
PROBLEME, Ps 34:19 regverdige het baie p., maar
 1Kor 7:28 Mensse wat trou, sal p. ondervind

PROFEET, De 18:18 Ek sal p. soos jy laat kom
 Ese 2:5 weet dat daar p. onder hulle was
 Am 7:14 Ek was nie p. of seun van p.
PROFESIE, 2Pe 1:20 Geen p. in Skrif gebaseer op
PROFESIEË, 2Pe 1:21 p. het nooit deur wil van mens
PROFETE, 1Kn 18:4 Obadja 100 p. weggesteek
 Am 3:7 vertroulike saak aan p. geopenbaar
 Han 10:43 Al die p. getuig van hom
PROFETE, VALSE, Mt 7:15 v. in skaapsklere
 Mt 24:11 v. sal verskyn en baie mislei
 Mr 13:22 v. sal wonderwerke doen
PROFETEER, Jl 2:28 julle seuns en dogters sal p.
PROFETIESE, 2Pe 1:19 p. woord is sekerder gemaak
PROSEDURE, 1Kor 15:13 nie sekerd gemaak regte p.
PROSTITUTE, Lu 15:30 geld met p. gemors
PROSTITUUT, Spr 7:10 soos p. aangetrek
 1Kor 6:16 met p. verenig, een liggaam met haar
 Op 17:1 p. sit op baie waters
 Op 17:16 sal p. haat en verwoes
PRYS, Spr 27:2 Laat iemand anders jou p.
 1Kor 7:23 met p. gekoop
 1Kor 9:24 net een ontvang p.
 1Kor 11:2 Ek p. julle, want
 Kol 2:18 Moenie dat iemand keer dat p. ontvang
PYLE, Ps 127:4 Soos p. in hand van sterk man
PYN, Job 6:2 As my p. geweeg kon word
 Spr 14:10 Net jy ken die p. in jou hart
 Ro 8:22 hele skepping tot nou toe in p.
 Ro 9:2 hartseer en onophoudelike p. in my hart

R

RAADGEWER, Jes 9:6 Wonderlike R. genoem
RAADGEWERS, Spr 15:22 baie r. lei tot sukses
RAAK, Spr 6:29 Niemand wat aan haar r., ongestraf
 Jes 52:11 r. aan niks wat onrein is!
 2Kor 6:17 hou op om te r. aan wat onrein
RAGEL, Ge 29:18 sewe jaar gewerk vir R.
 Jer 31:15 R. huil oor haar seuns
RAMP, Spr 3:25 nie bang wees vir skielike r.
RAND, Le 23:22 nie r. van landery afoes nie
RAPPOORTEER, Le 5:1 getuie is en dit nie r. nie
REBEKKA, Ge 26:7 R. was baie mooi
RED, 2Kor 20:17 staan stil, sien hoe Jehovah julle r.
 Jes 59:1 hand van Jehovah nie te kort om te r.
 Mt 16:25 enigiemand wat lewe wil r.
 Lu 19:10 Seun van mens gekom om te soek en r.
 1Ti 4:16 jousef r. en dié wat na jou luister
 2Pe 2:9 Jehovah weet hoe om mense te r.
REDDER, 2Sa 22:3 my veilige skuilplek, my r.
 Han 5:31 hom as Leier en R. verhoog
REDDING, Ps 3:8 R. behoort aan Jehovah
 Han 4:12 geen r. in enigiemand anders nie
 Ro 13:11 ons r. is nou nader as toe ons
 Flp 2:12 met vrees aan julle r. werk
 Op 7:10 R. te danke aan God
REDE, Spr 16:2 Jehovah kyk na r. waarom hy dit doen
 Pr 7:25 r. vir dinge ondersoek
 Ro 13:5 goeie r. om onderdanig te wees
REDELIKHEID, Flp 4:5 r. aan alle mense bekend
REËLS, 2Ti 2:5 kroon kry as volgens r. deelneem
REËN, Ge 7:12 r. 40 dae en 40 nagte
 De 32:2 onderrigting val soos sagte r.
 Jes 55:10 soos r. en sneeu nie terugkeer voordat
 Mt 5:45 r. op regverdige en onregverdige
REËNBOOG, Ge 9:13 my r. as 'n teken
REËNPUT, Spr 5:15 Drink uit eie r.

REG, Ese 21:27 totdat een met wetlike r. kom
1Kor 9:18 nie my r. misbruik
1Kor 14:40 laat alles r. plaasvind

REGABIETE, Jer 35:5 wyn voor R. gesit

REGEER, Spr 29:2 wanneer goddelose r., sug volk
Ro 6:12 nie toelaat dat sonde in liggaam r.
Op 11:15 hy sal vir ewig as koning r.

REGHELP, 2Kor 13:11 hou aan om julle te laat r.
Ga 6:1 op sagmoedige manier probeer r.
Ef 4:12 heiliges r.

REGTER, Ge 18:25 R. van aarde nie doen wat reg is?
Jes 33:22 Jehovah is ons R., ons Koning
Lu 18:2 r. met geen vrees vir God en geen respek

REGTERHAND, Jes 41:10 jou stewig vashou met my r.
Mt 6:3 linkerhand nie weet wat r. doen

REGTERSTOEL, Joh 19:13 Pilatus op r. gaan sit
Ro 14:10 almal sal voor r. van God staan

REGTERWAG, Mt 5:39 op r. klap, draai die ander

REGVERDIG, Ge 15:6 Hy het Abram as r. beskou
Lu 18:7 God nie sorg dat hulle r. behandel word?

REGVERDIGE, Ps 34:19 r. het baie probleme, maar
Ps 37:25 nooit gesien dat r. verlaat word
Ps 72:7 r. sal in sy dae floreer
Ps 141:5 as r. my sou slaan, lojale liefde
Spr 24:16 r. kan sewe keer val

REGVERDIGES, 1Pe 3:12 oë van Jehovah op r.

REGVERDIGHEID, Ps 45:7 U was lief vir r., haat
Pr 5:8 sien dat daar nie r., nie verbaas wees
Jes 11:5 R. om middel gebind
Jes 26:9 bewoners van land leer r.
Jes 32:1 Koning sal in r. regeer
Jes 60:17 r. as jou taakgevers
Sef 2:3 Soek r., soek nederigheid
2Pe 3:13 r. sal daarin woon

REIN, Job 1:8 Job lei r. lewe, man van integriteit
Han 20:26 ek r. van bloed van alle mense

REINIG, Ps 51:2 r. my van my sonde
Da 12:10 Baie sal hulle r.
2Kor 7:1 ons r. van alles wat besoedel

RESPEK, 2Sa 12:14 geen r. vir Jehovah getoon nie
Ef 5:33 vrou diep r. vir haar man
1Te 5:12 r. vir dié wat leiding neem
1Pe 3:2 goeie gedrag en diep r.
1Pe 3:15 julle verdedig met diep r.

RESULTATE, Jes 55:11 woord nie sonder r. terugkeer

RIBBEBEEN, Ge 2:22 van r. vrou gemaak

RIG, Jer 10:23 behoort nie aan mens voetstap te r.

RIGTING, Ga 6:1 iemand verkeerde r. inslaan

RIVIER, Op 12:16 aarde het r. ingesluk
Op 22:1 r. van water van die lewe

ROEKELOOS, Spr 14:16 dwaas r., te veel selfvertroue

ROEPING, Ef 4:1 lewe op manier wat pas by r.

RONDGEDWAAL, Jes 53:6 Soos skape r.

RONDGEGOOI, Ef 4:14 nie meer kinders deur golwe r.

ROOI, Ge 25:30 Gee my van die r. bredie

ROTS, De 32:4 Die R., volmaak is sy werk
Mt 7:24 sy huis op r. gebou

ROWERS, Mt 21:13 skuiplek vir r.

RUKKIE, 2Kor 4:17 moeilike tye duur net kort r.

RUS, Da 12:13 Jy sal r., maar jy sal opstaan

RUSTIG, 1Te 4:11 doelwit om r. te lewe

RYK, Spr 10:22 seën van Jehovah maak r.
Lu 14:12 aandete hou, nie r. bure nooi
2Kor 6:10 arm, tog maak ons baie mense r.
1Ti 6:9 vasbeslote om r. te wees, val in strik
1Ti 6:17 Beveel dié wat r. om nie hoogmoedig
Op 3:17 Jy sê: Ek is r.

RYKDOM, Ps 62:10 r. vermeerder, nie hart daarop sit
Spr 11:4 R. sal niks help op dag van woede
Spr 11:28 op r. vertrou, sal tot val kom
Spr 18:11 r. van ryk man, muur in verbeelding
Spr 30:8 Moenie vir my r. of armoede gee nie
Pr 5:10 r. liefhet, nie genoeg kry nie
Jes 60:5 r. van nasies sal na jou kom
Jes 61:6 Julle sal r. van nasies geniet
Ese 28:5 hart hoogmoedig as gevolg van r.
Mt 6:24 kan nie slawe van God en R. wees nie
Mt 13:22 bedrieglike krag van r.
Lu 16:9 vriende deur middel van r. van wêreld

RYKE, Jer 9:23 r. nie spog oor rykdom

RYKES, Le 19:15 mag nie r. voortrek nie

S

SAAD, Lu 8:11 s. is woord van God
SAAI, Ps 126:5 met trane s.
Pr 11:6 S. jou saad in oggend en
Ga 6:7 wat mens s., sal hy oes

SAAILAND, 1Kor 3:9 Julle is God se s.

SAAMGESTEM, Lu 23:51 [Josef] nie s. met hulle

SAAMWERK, Ro 8:28 God laat al sy werke s.

SABBAT, Mt 12:8 Seun van mens is Here van S.
Mr 2:27 S. is daar vir mens, nie mens vir S.
Kol 2:16 Laat niemand julle oordeel oor 'n s.

SABBATDAG, Eks 20:8 Hou die S.
Lu 14:5 Wie sal nie seun, bul uit trek op S.?

SABBATSRUS, Heb 4:9 s. vir volk van God

SAGARIA 1, Lu 11:51 van bloed van Abel tot S.

SAGARIA 2, Esr 5:1 profete Haggai en S.

SAGARIA 3, Lu 1:5 priester met naam S.

SAGGEAARD, Mt 5:5 dié wat s., aarde ontvang

SAGGEUS, Lu 19:2 S., hoofbelastinggaarder

SAGMOEDIGE, 1Pe 3:4 stille en s. gees

SAGTE, 1Kor 4:13 naam deur modder, s. antwoord

SAKE, 1Te 4:11 met eie s. besig hou

SALOMO, 1Kn 4:29 God het S. wysheid gegee
Mt 6:29 nie eers S. soos hulle geklee nie

SAMARIA, 2Kn 17:6 koning van Assirië S. ingeneem
Joh 4:7 Vrou van S. water kom skep

SAMARITAN, Lu 10:33 S. baie jammer gevoel

SAMUEL, 1Sa 1:20 Hanna het hom S. genoem
1Sa 2:18 S. het gedien, was net 'n seun

SAND, Op 20:8 getal soos s. van see

SANDKORRELS, Ge 22:17 jou nageslag soos s.

SANGERS, 1Kr 15:16 Dawid gesê om s. aan te stel

SANHEDRIN, Han 5:41 van S. af weggegaan, was bly

SANHERIB, 2Kn 19:16 woorde waarmee S. God uittrant

SARA, Ge 17:19 S., sal aan seun geboorte gee
1Pe 3:6 S. het Abraham heer genoem

SATAN, Job 1:6 S. tussen hulle ingekom
Sag 3:2 Mag Jehovah jou bestraf, S.
Mt 4:10 Gaan weg, S.! Daar staan geskryf
Mt 16:23 sê vir Petrus: Gaan agter my, S.!
Mr 4:15 S. kom, neem woord weg wat gesaai
Ro 16:20 God sal S. onder julle voete vergruis
1Kor 5:5 so iemand aan S. oorlewer
2Kor 2:11 sodat S. nie oorhand oor ons kry
2Kor 11:14 S. bly voorgede dat hy engel van lig is
2Te 2:9 mens van weteloosheid, S. se werk
Op 12:9 slang, Duiwel en S. genoem
Op 20:2 S. vir 1 000 jaar gebind

SAUL, 1Sa 15:11 spyt dat ek S. koning gemaak het
Han 9:4 S., S., hoekom vervolg jy my?

SAULUS, Han 7:58 klere by voete van S. gesit
Han 8:3 S. gewelddadig teen vermoende opgetree
Han 9:1 S. dreig, wou hulle gemeente

SEDEKIA, Jer 52:11 S. se oë verblind
SEE, Jes 57:20 goddeloses soos s., nie tot rus
SEEBODEM, Eks 14:21 s. in droë grond laat verander
SEËL, Hgl 8:6 Plaas my as s. op jou hart
 2Kor 1:22 s. op ons gedruk, as waarborg
SEËN, Ge 32:26 sal u nie laat gaan tensy u my s. nie
 Nu 6:24 Mag Jehovah julle s.
 De 30:19 jou laat kies tussen s. en vloek
 Spr 10:22 s. van Jehovah maak ryk
 Mal 3:10 s. uitstort totdat julle niks kortkom nie
 Lu 6:28 s. dié wat julle vervloek
 Ro 12:14 Hou aan om dié te s. wat vervolg
SEERGEMAAK, Ps 78:40 sy gevoelens in woestyn s.!

SEFAS, 1Kor 15:5 aan S. verskyn, toe aan Twaalf
 Ga 2:11 ek het S. gekonfronteer

SEISOENFEESTE, Le 23:4 Dit is die s. van Jehovah
SEKER, 2Kor 13:5 s. maak dat julle in geloof is
 Flp 1:10 s. maak van belangriker dinge
 1Te 5:21 Maak s. van alles, hou vas aan wat goed

SEKSUEEL ONSEDELIK, 1Kor 5:9 s., nie assosieer
 1Kor 6:9 s., Koninkryk nie erf nie

SEKSUELE OMGANG, 1Kor 7:5 nie s. weerhou

SEKSUELE ONSEDELIKHEID, Mt 15:19 Uit hart kom s.
 Han 15:20 weerhou van s. en van bloed
 1Kor 6:18 Vlwg vir s.!

1Kor 10:8 ook nie s. beoefen, soos party
 Ga 5:19 s., onreinheid, skaamtelose gedrag
 Ef 5:3 s. nie eers genoem
 1Te 4:3 wil van God, wegby van s.

SEKTE, Han 28:22 oral teen hierdie s. gepraat
 Tit 3:10 As iemand s. bevorder, verwerp hom

SEKTES, 2Pe 2:1 stillietjies skadelike s. inbring

SELFBEEHERSING, 1Kor 7:5 verlei, gebrek aan s.
 Ga 5:22, 23 vrug van gees is s.
 2Ti 2:24 s. wanneer onregverdig behandel word

SELFVERTROUW, Spr 14:16 dwaas het te veel s.

SEPTER, Ge 49:10 s. nie van Juda weggenem word

SEUN, Ps 2:12 Eer die s., anders sal God
 Spr 13:24 een wat sy s. nie dissiplineer, haat hom
 Spr 15:20 Wyse s. maak pa bly
 Jer 1:7 Moenie sê: Ek is net 'n s. nie
 Mt 3:17 Dit is my geliefde S., wat ek
 Lu 15:13 jongste s., alles uitgemors

SEUNS, Ge 6:2 s. van God neem vrouens
 1Sa 8:3 sy s. het nie sy voorbeeld gevolg
 Job 38:7 s. van God begin juig

SEUNTJIE, Jes 11:6 'n s. sal hulle lei

SEUN VAN DIE MENS, Da 7:13 s., 'Oue van Dae
 Mt 10:23 nie kring voltooi voordat S. kom
 Lu 21:27 S. in wolk sien kom

SIEK, Jes 33:24 geen inwoner sal sê: Ek is s. nie
 Jak 5:14 Is iemand onder julle s.?

SIEKBED, Ps 41:3 hom op sy s. ondersteun

SIEKTE, Mt 9:35 elke soort s. genees

SIEKTES, Jes 53:4 hy het ons s. gedra

SIEL, Nu 31:28 een s. van mense en kleinvee
 Ese 18:4 s. wat sondig, sal sterf
 Mt 22:37 Jehovah liefhé met jou hele s.
 Ef 6:6 wil van God met hele s. doen
 Kol 3:23 Wat ook al doen, doen met hele s.

SILO, Ge 49:10 totdat S. kom

SILWER, Spr 2:4 daarna bly soek soos na s.
 Ese 7:19 sal hulle s. op strate gooi
 Sef 1:18 Nie s. of goud sal hulle red nie

SIMON, Han 8:18 S. vir hulle geld aangebied

SIMPATISEER, Heb 4:15 met ons swakhede s.
SIMONA, Rig 13:24 hom S. genoem

SINAI, Eks 19:20 Jehovah op berg S. neergedaal

SING, Ps 96:1 S. vir Jehovah nuwe lied
 Ef 5:19 S. en maak musiek

SINNE, Lu 15:17 Toe hy tot sy s. kom, het hy gesê

SION, Ps 2:6 koning ingehuldig op S.
 Ps 48:2 berg S., stad van Groot Koning
 Jes 66:8 S. se kinders is gebore
 Op 14:1 Lam op berg S. saam met 144 000

SIT, Ps 110:1 S. aan my regterhand totdat ek

SJARME, Spr 31:30 S. kan misleidend wees

SJEOOL, Sien GRAF.

SKAAM, Esr 9:6 s. om my gesig na God op te lig
 Mr 8:38 iemand hom vir my s.
 Ro 1:16 Ek s. my nie vir goeie nuus nie
 1Kor 4:14 nie om julle te laat s. kry nie
 2Ti 1:8 nie s. vir getuienis oor Here nie
 2Ti 2:15 werker wat hom oor niks s.
 Heb 11:16 nie s. om hulle God genoem te word
 1Pe 4:16 As ly omdat Christen, nie s. nie

SKAAMTELOSE GEDRAG, Ga 5:19 onsedelikheid, s.
 2Pe 2:7 Lot ontsteld oor s.

SKAAP, Jes 53:7 soos s. gebring om geslag te word

SKADE, Jes 11:9 niks slegs doen of s. aanrig

SKADUWEE, 1Kor 29:15 ons dae soos s.
 Ps 91:1 sal in s. van Almagtige bly
 Kol 2:17 s. van toekomstige dinge

SKADUWEEES, Jak 1:17 verander nie soos s. wat skuif

SKANDELIKE, Ro 1:27 Mans doen s. dinge met mans
 Ef 5:4 s. gedrag of dwase praatjies

SKAPE, Ps 100:3 sy volk en s. van sy weiveld
 Ese 34:12 Ek sal vir my s. sorg
 Mt 25:33 sal s. aan regterhand sit

SKAPIES, Joh 21:16 Hou as herder toesig oor my s.

SKARLAKEN, Jes 1:18 Al is julle sondes soos s.

SKAT, Mt 6:21 waar s. is, daar sal hart wees
 Mt 13:44 Koninkryk soos s. in veld weggesteek
 Lu 6:45 goeie dinge uit goeie s. van hart
 Lu 12:33 s. in die hemel wat nooit opraak
 2Kor 4:7 ons het hierdie s. in kleihouers

SKATTE, Spr 2:4 bly soek soos na versteekte s.
 Spr 10:2 S. wat op goddelose manier verkry

SKEI, Mt 19:9 s., behalwe op grond van
 Mt 25:32 sal mense van mekaar s.
 Mr 10:11 Elkeen wat s., met iemand anders trou
 Ro 8:39 sal ons kan s. van God se liefde

SKEIBRIEF, De 24:1 vir haar s. uitskrif
 Mt 19:7 Moses gesê s. kan geëe word

SKENK AANDAG, Han 20:28 S. aan julleself en aan
 1Ti 4:16 S. aan jousef en jou onderrigting

SKEPPER, Pr 12:1 Dink aan S. terwyl jonk

SKEPPING, Ro 1:20 van wêreld se s. af gesien
 Ro 8:20 s. onderwerp op grond van hoop
 2Kor 5:17 As in eenheid met Christus, nuwe s.
 Kol 1:23 Verkondig in hele s. onder hemel
 Op 3:14 begin van s. deur God

SKEUR, Jl 2:13 S. julle harte, nie julle klere nie

SKILD, Ps 84:11 Jehovah is 'n son en s.
 Ef 6:16 Dra groot s. van geloof

SKINDER, Spr 20:19 iemand wat hou van s.
 1Ti 5:13 s., meng in ander se sake in

SKIPBREUK, 2Kor 11:25 drie keer s. gely
 1Ti 1:19 geloof s. gely

SKOKKEND, Joh 6:60 woorde is s.!

SKOLE, Joh 7:15 nie aan s. gestudeer?

SKOON, Joh 15:3 Julle reeds s. weens woorde

SKOONHEID, Ese 28:17 hart hoogmoedig weens s.

SKOUER, Sef 3:9 hom s. aan s. dien

SKRIF, Mt 22:29 ken nie S., ook nie krag van God
Lu 24:32 harte gebrand toe hy S. verduidelik
Han 17:2 uit S. met hulle geredereer
Han 17:11 S. elke dag deeglik ondersoek
Ro 15:4 deur vertroosting uit S. hoop hê
2Ti 3:16 hele S. deur God geïnspireer

SKUD, Hag 2:7 sal al die nasies s.

SKUILPLEK, Ps 9:9 Jehovah s. vir dié wat onderdruk
SKULD, Ro 13:8 niemand iets s., behalwe liefhê

SKYNHEILIGHEID, Ro 12:9 liefde sonder s.

SLAAF, Spr 22:7 lener is s. van man by wie hy leen
Mt 24:45 Wie is getroue en verstandige s.?
Mt 25:21 Mooi so, goeie en getroue s.!
Joh 8:34 Elkeen wat sondig, is s. van sonde

SLAAN, 1Kor 9:26 nie soos iemand wat in lug s.

SLAAP, Spr 6:10 Nog bietjie s., nog bietjie sluimer
2Kor 11:27 dikwels sonder s.
1Te 5:6 nie aanhou s. soos res nie

SLANG, Ge 3:4 s. vir vrou gesê:
Joh 3:14 soos Moses s. opgelig het, so moet Seun
SLAPELOSE, 2Kor 6:5 s. nagte, soms nie kos gehad

SLAPERIGHEID, Spr 23:21 s., stukkende klere dra

SLAWE, Lu 17:10 Ons is niks werd s.
1Kor 7:23 Hou op om s. van mense te word
Ga 5:13 dien mekaar soos s. deur liefde

SLEEPNET, Mt 13:47 Koninkryk van hemel soos s.

SLEG, Ge 3:5 soos God, kennis van goed en s.
Jes 5:20 sal s. gaan met dié wat sê goed is s.
1Kor 9:16 s. gaan as nie goeie nuus bekend maak
Op 12:12 s. gaan met aarde en see

SLEGTE, Ro 7:19 doen s. dinge wat ek nie wil
Ro 12:17 Moenie s. dinge aan mense doen
Ef 4:29 Laat s. woord nie uit mond kom nie

SLEGTER, 1Kor 15:19 s. af as enigiemand anders

SLEUTEL, Lu 11:52 het s. van kennis weggeeneem

SLEUTELS, Mt 16:19 Ek sal jou s. van Koninkryk gee
Op 1:18 ek het s. van die dood en die Graf

SLOTSOM, Pr 12:13 dit is die s.: Vrees God

SLUIER, 2Kor 3:15 s. oor hulle hart

SMEEK, Ro 12:1 ek s. julle om liggame aan te bied
2Kor 5:20 ons s.: Raak met God versoen

SMEEKGEBEDE, Heb 5:7 Christus s. gedoen
Jak 5:16 s. van regverdige man

SMOUS, 2Kor 2:17 s. nie met woord van God

SNEEU, Jes 1:18 sondes so wit soos s. gemaak

SNYE, Le 21:5 nie s. in liggaam maak nie

SODOM, Ge 19:24 swael en vuur op S.
2Pe 2:6 S. veroordeel, 'n voorbeeld
Jud 7 s. en Gomorra, waarskuwende voorbeeld

SOEK, 1Kor 28:9 As jy hom s., sal jy hom vind
Ps 119:176 Ek verlore skaap. S. na u kneg
Ese 34:11 ek sal self na my skape s.
Sef 2:3 s. Jehovah, alle nederiges
Lu 15:8 huis uitvee, oral s. totdat sy dit vind
Joh 4:23 Vader s. sulke mense
Han 17:27 God wil hê dat mense hom s.
Kol 3:1 aanhou s. na dinge wat daar bo is

SOEN, Lu 22:48 verraa! Seun van mens met s.?

SOEWERREINE HEER, Ps 73:28 soek beskerming by S.
Han 4:24 S., u het hemel en aarde gemaak

SOLDAAT, 2Ti 2:4 s. raak nie betrokke by

SOMER, Mt 24:32 vyeboom blare kry, s. naby

SON, Jos 10:12 S., staan stil bo Gibeon
Mt 24:29 ná verdrukking sal s. donker word
Han 2:20 s. in duisternis verander

SONDAAR, Lu 15:7 vreugde in hemel, s. berou
Lu 18:13 God, ek is 'n s. Betoon genade aan my

SONDAARS, Ps 1:5 s. nie in vergadering bly staan
Joh 9:31 Ons weet dat God nie na s. luister
Ro 5:8 Christus gesterf terwyl ons nog s. was

SONDE, Ge 4:7 s. lê by deur en loer
Job 14:4 geboorte gee aan iemand sonder s.?
Ps 32:1 Gelukkig is een wie se s. bedek word
Ps 38:18 My s. het my gepla
Jes 53:12 het s. van baie mense gedra
Jer 31:34 sal nie meer aan hulle s. dink
Ese 33:14 goddelose van s. wegdraai
Mt 18:15 broer s. pleeg, gaan praat
Mr 3:29 teen heilige gees laster, ewige s.
Joh 1:29 Lam van God wat s. van wêreld wegneem!
Ro 5:12 S. deur een mens in wêreld ingekom
Ro 6:14 s. moenie meester oor julle wees
Ro 6:23 betaling vir s. is dood
Heb 11:25 eerder as om s. kort tydjie te geniet
Jak 4:17 weet wat reg is en nie doen, is s.
1Jo 1:7 bloed van Jesus reinig ons van alle s.
1Jo 2:1 as iemand wel s. pleeg
1Jo 5:17 Alle onregverdigheid is s.

SONDES, Ps 40:12 my s. meer as hare op kop
Jes 1:18 Al is s. soos skarlaken
Jes 38:17 gooi al my s. agter u rug
Jes 53:5 Weens ons s. het hy gely
Mt 6:12 vergewe ons s., soos ons vergewe het
Han 3:19 Toon berou sodat s. uitgewis word
Ro 3:25 s. vergewe wat in verlede gepleeg
1Ti 5:24 s. van ander word later bekend
Jak 5:15 as hy s. gepleeg, sal hy vergewe word

SONDIG, Ge 39:9 slegte ding doen en teen God s.?
1Kn 8:46 geen mens wat nie s. nie

SOORT, 2Pe 3:11 watter s. mense julle behoort te

SORG, 1Ti 5:8 as iemand nie vir eie mense s.

SORGE, Ps 94:19 s. my oorweldig, het u vertroos

SOUT, Mt 5:13 Julle is die s. van die aarde
Kol 4:6 woorde aangenaam, smaaklik met s.

SOUTPILAAR, Ge 19:26 Lot se vrou s. geword

SPANNING, Lu 21:26 mense flou van vrees en s.

SPEKULASIES, 1Ti 1:4 laat net s. ontstaan

SPELETJIE, Spr 10:23 Skandelige gedrag s. vir dwaas

SPIEËL, Jak 1:23 na sy gesig in s. kyk

SPIEËLS, 2Kor 3:18 weerkaats sy heerlikheid soos s.

SPIES, 1Sa 18:11 s. gegooi: Ek gaan Dawid vaspen!

SPIRITISME, Ga 5:20 afgodediens, s., vyandigheid

SPLINTER, Mt 7:3 s. in broer se oog, sien nie balk

SPOG, 1Kor 1:31 Laat hy wat s., oor Jehovah s.

SPOT, Lu 22:63 Jesus begin s., geslaan

SPOTTERS, 2Pe 3:3 in laaste dae sal s. kom

SPRINKANE, Jl 1:4 Wat die swerm s. laat oorby het

SPRUIT, Jer 23:5 vir Dawid regverdige s. voortbring

STAAN, Job 37:14 S. stil, dink oor wonderlike werke
1Kor 10:12 een wat dink dat hy s.

STAAN VAS, 1Kor 16:13 s. in geloof

STAATMAAK, Spr 3:5 moenie op eie begrip s.

STAD, Heb 11:10 s. wat ware fondamente het

STADIG, Jak 1:19 s. om te praat, s. om kwaad te word

STAMME, Ge 49:28 die 12 s. van Israel

STANDVASTIG, 1Kor 1:8 Hy sal julle s. maak
1Kor 15:58 wees s., onbeweeglik

STEDE, Lu 4:43 goeie nuus, ander s. bekend maak

STEELE, Eks 20:15 Jy mag nie s. nie
Spr 30:9 s. en skande oor naam van God bring
Ef 4:28 laat een wat s., nie meer s. nie

STEEN, Mt 21:42 s. wat bouers verwerp het

STEM, 1Kn 19:12 Ná die vuur 'n kalm, sagte s.
 Joh 5:28 almal in gedenkgrafte, sy s. hoor
 Joh 10:27 My skape luister na my s.

STERF, Ge 3:4 Julle sal beslis nie s. nie
 Job 14:14 As 'n man s., kan hy weer lewe?
 Ese 18:32 nooit bly as iemand s. nie
 Joh 11:25 sal lewend word, al s. hy
 Joh 11:26 geloof in my, sal nooit s. nie
 Ro 14:8 as ons s., ons behoort aan Jehovah
 1Kor 15:53 verander in een wat nie kan s. nie

STERFLIKE MENS, Ps 8:4 wat is s. dat u

STERK, Jos 1:7 Wees moedig en baie s.
 Jes 35:4 Wees s. Moenie bang wees nie
 Ro 15:1 dra swakhede van dié wat nie s. is
 1Kor 16:13 staan vas in geloof, word s.
 2Kor 12:10 wanneer ek swak is, dan is ek s.
 Flp 4:13 Vir alles is ek s. genoeg deur

STERRE, Ps 147:4 noem s. almal by naam
 Mt 24:29 Onmiddellik ná verdrukking sal s. val
 Op 2:1 sewe s. in sy regterhand

STERREVOORSPELLERS, Mt 2:1 s. kom na Jerusalem

STEUN, Ese 9:4 mense wat sug en s.

STEWIG, Kol 2:7 s. in die geloof

STIL, Ps 4:4 Sê julle sê in julle hart, en bly s.
 Pr 3:7 tyd om s. te bly, tyd om te praat

STILGEBLY, Ps 32:3 Toe ek s., al my bene weggeteer

STILLE, 1Pe 3:4 s. en sagmoedige gees

STILMAAK, 1Pe 2:15 deur goeie gedrag mense s.

STOF, Ge 2:7 die mens uit die s. gemaak
 Ge 3:19 S. is jy en tot s. sal jy terugkeer
 Ps 103:14 hy hou in gedagte dat ons s. is

STOFLAGIE, Jes 40:15 nasies soos s. op weegskaal

STOMME, Jes 35:6 tong van s. sal uitroep

STOMP, Pr 10:10 As byl s., baie krag gebruik
 Jes 11:1 takkie uit s. van Isai
 Da 4:15 laat s. met wortels in grond bly

STORT, Ps 62:8 S. julle hart voor hom uit

STRAF, 1Kor 9:27 s. my liggaam en lei dit as slaaf
 2Te 1:6 God sal dié wat julle onderdruk, s.

STRALENDE, Jes 14:12 s., uit hemel geval!

STREKE, Ro 15:23 oral in hierdie s. gepreek

STRIK, Ps 91:3 uit s. van voëlvanger red
 Spr 29:25 Om vir mense bang te wees, is 'n s.
 Lu 21:34, 35 dag skielik oor julle kom soos s.

STROOI, Jes 65:25 leeu sal s. eet net soos bul
 1Kor 3:12 As iemand met s. bou

STRIUKEL, Ps 119:165 wet liefhet. Niks laat hulle s.
 Lu 17:2 een van hierdie kleintjies laat s.
 Ro 14:13 nie iets in pad sit wat hom laat s.
 1Kor 8:13 As kos my broer laat s.
 Flp 1:10 wees opreg en laat ander nie s.
 Jak 3:2 ons almal s. dikwels

STRIUKELBLOK, Mt 5:29 as regteroor s. is, ruk dit uit

STRIUKELBLOKKE, Mt 13:41 alle s. bymeekaarmaak
 1Kor 10:32 Sorg dat julle nie s. word nie

STRY, 2Ti 2:24 Slaaf van Here hoef nie te s.
 Jud 3 hard s. vir die geloof

STRYD, Ef 6:12 nie s. teen vlees en bloed
 1Ti 6:12 Stry goeie s. van geloof

STRYDWAENS, Rig 4:13 900 s. met ysterlemme
 2Kn 6:17 s. van vuur rondom Elisa

STRYERY, Spr 15:18 nie gou kwaad, laat s. ophou
 Spr 17:14 Gaan weg voordat s. begin

STUUR, Jes 6:8 Hier is ek! S. my!

SUG, Eks 2:24 God hoor hoe hulle s.
 Ese 9:4 merk mense wat s. en steun

SUINIGE, Spr 23:6 Moenie s. persoon se kos eet

SUIWER, Hab 1:13 U oë te s. om te kyk na
 Sef 3:9 taal in s. taal verander
 Sag 13:9 Ek sal hulle s. soos silwer
 Mal 3:3 sit as iemand wat silwer s.
 Mt 5:8 Gelukkig dié wat s. van hart is

SUIWERING, Da 11:35 sodat s. plaasvind

SUKSESVOL, Jos 1:8 dan sal jy s. wees
 1Kn 2:3 Dan sal jy s. wees in alles
 2Kor 20:20 Vertrou op sy profete, sal s. wees
 Ps 1:3 Alles wat hy doen, sal s. wees

SUSTER, De 27:22 seksuele omgang met s.

SUURDEEG, Mt 13:33 Koninkryk van hemel is soos s.
 1Kor 5:6 bietjie s. laat al die deeg gis

SWAAR, 1Jo 5:3 sy geboorte nie s. nie

SWAARD, 1Sa 17:47 Jehovah nie s. nodig om te red
 Mt 26:52 almal wat s. gebruik, sal met die s.
 Ef 6:17 s. van die gees, God se woord
 Heb 4:12 woord van God skerper as s.

SWAARDE, Jes 2:4 ploegskare maak van hulle s.

SWAARDSTEKE, Spr 12:18 woorde soos s.

SWAARGEKRY, Ps 119:71 goed dat ek s. het

SWAARKRY, Ps 119:50 Dit vertroos my wanneer ek s.
 Jes 35:10 hartseer en s. sal verdwyn
 Ro 5:3 wees bly, s. lei tot volharding

SWAAR TYE, 2Ti 3:1 s. moeilik om deur te kom

SWAK, 1Kor 1:27 God s. dinge van wêreld uitgekies
 2Kor 12:10 wanneer ek s. is, is ek sterk
 1Te 5:14 ondersteun dié wat s. is, wees geduldig

SWAKHED, Ro 14:1 Verwelkom persoon wat s. het
 Ro 15:1 s. dra van dié wat nie sterk

SWAKKER, 1Pe 3:7 vrou s., soos delikate houer

SWANGER, Eks 21:22 s. vrou seermaak en haar
 1Te 5:3 soos geboortepyne oor s. vrou

SWEER, Ge 22:16 Ek s. by myself, sê Jehovah
 Mt 5:34 Moet glad nie s. nie

T

TAAL, Ge 11:7 hulle t. verwar
 Sef 3:9 ek sal t. van volke in 'n suiwer t. verander

TABERNAKEL, Ps 78:60 t. van Silo verlaat
 Ps 84:1 Hoe lieflik is u groot t.

TABELLETTE, Eks 31:18 twee t. vir Moses gegee

TAFEL, Da 12:27 by een t. sit en leuens vertel
 1Kor 10:21 t. van Jehovah en t. van demone

TAKKIE, Joh 15:4 T. kan nie vanself vrugte dra

TALE, Sag 8:23 tien manne uit al die t.
 Han 2:4 in verskillende t. begin praat
 1Kor 13:8 As daar t. is, sal hulle ophou
 1Kor 14:22 t. 'n teken vir ongelowiges
 Op 7:9 uit alle nasies en stamme en t.

TALENTE, Mt 25:15 vir een slaaf vyf t., vir ander twee

TARSIS, Jon 1:3 Jona vlug na t.

TARTARUS, 2Pe 2:4 engele in T. gegooi

TATOEËERMERKE, Le 19:28 mag geen t. maak

TEATERSKOUSPEL, 1Kor 4:9 'n t. geword

TEEN, Ro 8:31 As God vir ons, wie t. ons?

TEENSTAND, 1Te 2:2 moed, al het ons groot t.

TEENSTANDERS, Lu 21:15 wyswat wat t. nie kan
 1Kor 16:9 maar daar is baie t.
 Flp 1:28 nie deur t. bang gemaak

TEENWOORDIGHEID, Mt 24:3 teken van u t.?
 Mt 24:37 t. van Seun van mens, soos dae van Noag
 2Pe 3:4 Waar is sy belofte t.?

TEKEN, Mt 24:3 t. van u teenwoordigheid?

TEKEN, Mt 24:30 t. van Seun van mens verskyn

TEKENS, De 18:10 enigiemand wat na t. soek
 Lu 21:25 sal t. in son en maan wees
 2Te 2:9 misleidende t. en wonderwerke

TEL, Ps 90:12 Leer ons om ons dae te t.
TELEURGESTEL, Ro 9:33 geloof daarop bou, nie t.
TELEURSTELLING, Ro 5:5 hoop lei nie tot t. nie
TEMPEL. Sien ook HUIS, Ps 11:4 Jehovah in t.
 Ps 27:4 met waardering na t. kyk
 Jer 7:4 die t. van Jehovah, die t. van Jehovah!
 Ese 41:13 t. gemeet, 100 el lank
 Mal 3:1 Heer sal skielik na Sy t. kom
 Mt 21:12 in t. ingegaan, almal uitgejaag wat
 Joh 2:19 Breek hierdie t. af, in drie dae opbou
 1Kor 3:16 julle is God se t.
TEMPELKNEGTE, Esr 8:20 t. vir Leviete gegee
TEMPELS, Han 17:24 woon nie in handgemaakte t.
TENT, Jos 18:1 t. van samekoms opgerig in Silo
 Ps 15:1 wie mag 'n gas in u t. wees?
 2Kor 12:9 krag van Christus soos t. oor my
 Op 21:3 t. van God by die mensdom
TENTMAKERS, Han 18:3 hulle was t.
TENTTOU, Jes 54:2 maak jou t. langer
TEREGGEWYS, Spr 29:1 hardkoppig, herhaaldelik t.
TEREGWYS, Ps 141:5 As hy my t., soos olie op kop
TEREGWYSING, Spr 3:11 moenie sy t. haat
 Spr 27:5 Openlike t. beter as liefde wat
 Spr 27:6 Al maak vriend se t. seer
 Pr 7:5 beter om na t. van wyse te luister
TERNEERGEDRUK, 1Te 5:14 praat vertroostend, t. is
TERUGBETAAL, Ps 37:21 godeloos leen, nie t.
 Ps 116:12 Waarmee Jehovah t.
 Spr 20:22 Moenie sê: Ek sal jou t.!
 Ro 12:19 wraak myne. Ek sal t.
TERUGGAAN, 1Kor 7:11 ongetroud bly of t. na man
TERUGHOU, Ps 84:11 Jehovah sal niks goeds t.
 Spr 3:27 Moenie goeie t. van dié
 2Te 2:6 weet wat mens van weteloosheid t.
TERUGKEER, Jl 2:12 met hele hart na my t.
 Mal 3:7 Keer terug na my, ek sal na julle t.
TEVREDE, Ef 6:6 doggehou, julle mense t. kan stel
 Flp 4:11 geleer om t. te wees
 1Ti 6:8 met kos en klere t. wees
TIEN, Ge 18:32 sal dit nie vernietig ter wille van t.
TIENDE, Ne 10:38 Leviete moet t. van die t. bring
 Mal 3:10 Bring hele t. in stoorkamer
TIENDUISENDE, Op 5:11 getal was t. maal t.
TIEN GEBOOIE, Eks 34:28 Hy het die T. geskryf
TIMMERMAN, Mr 6:3 die t., seun van Maria
TIMOTEUS, Han 16:1 Daar was dissipel met naam T.
 1Kor 4:17 ek stuur T., geliefde, getroue kind
 1Ti 1:2 T., ware kind in geloof
TOEBIND, De 25:4 nie bul se bek t.
TOEGERUS, 2Ti 3:17 t. vir elke goeie werk
TOEGEWYDHEID, 1Ti 4:7 Werk hard met t. aan God
 1Ti 4:8 t. aan God is voordelig vir alles
 1Ti 6:6 T. aan God hou groot voordele in
 2Ti 3:12 almal met t. aan God, sal vervolg word
TOEKOMS, Ps 73:17 totdat besef wat hulle t. sal wees
 Spr 24:20 geen t. vir iemand wat sleg is
 Pr 7:14 weet nie wat in t. sal gebeur
TOELAATBAAR, 1Kor 6:12 Alles t., nie voordelig
TOERUS, Heb 13:21 t. om sy wil te doen
TOESPRAKE, Han 15:32 broers met baie t. versterk
TOETS, De 13:3 Jehovah t. julle om te weet of
 Spr 27:21 lof t. mens
 Mal 3:10 t. my asseblief in hierdie verband
 Han 5:9 die gees van Jehovah t.?
 1Kor 10:9 Laat ons Jehovah ook nie t. nie
 1Ti 3:10 eers t. om te sien of geskik
 1Jo 4:1 t. geïnspireerde stellings

TOEVERTROU, Lu 16:11 aan julle t. wat waar is?
TONEEL, 1Kor 7:31 t. van wêreld verander
TONG, Ps 34:13 Hou t. weg van wat sleg is
 Spr 18:21 Dood en lewe in mag van t.
 Jes 35:6 t. van stomme sal van vreugde uitroep
 Jes 50:4 my die t. gegee van dié wat geleer is
 Jak 1:26 t. nie beheer, aanbidding verniet
 Jak 3:8 geen mens kan die t. maak maak
TOORKUNS, De 18:10 enigiemand wat t. beoefen
 Han 19:19 dié wat t. beoefen, boeke verbrand
TORING, Ge 11:4 Laat ons vir ons 'n t. bou
 Spr 18:10 naam van Jehovah is 'n sterk t.
 Lu 13:4 18 dood toe t. in Siloam op hulle val
TOU, Pr 4:12 driedubbele t. kan nie maklik gebreek
TOWENAAR, Han 13:6 Bar-Jesus was 'n t. en
TRAAG, Spr 19:15 iemand wat t. is, sal hongr ly
 Jer 48:10 t. om opdrag van Jehovah uit te voer
 Heb 5:11 t. geword om te luister
 2Pe 3:9 Jehovah nie t. om belofte te vervul
TRAAN, Op 21:4 elke t. van oë afvee
TRADISIES, Mt 15:3 oortree gebod weens julle t.?
 Mr 7:13 maak woord van God kragteloos deur t.
 Ga 1:14 ywiger vir t. van my vaders
TRANE, 2Kn 20:5 jou gebed gehoor, jou t. gesien
 Ps 6:6 ek laat my bed swem in t.
 Ps 126:5 met t. saai, met vreugde oes
 Spr 17:25 Dwase seun maak pa hartseer en bring t.
 Pr 4:1 t. van onderdrukte, niemand vertroos
 Han 20:19 Here as slaaf gedien met t.
 Han 20:31 elkeen van julle met t. raad gegee
 Heb 5:7 Christus met t. smeekgebede gadoen
TRAPPE, Ge 28:12 t. tot in hemel gestrek
TREK, Joh 6:44 tensy die Vader hom t.
TREUR, Mt 5:4 Gelukkig is dié wat t.
 1Te 4:13 nie t. soos die res, wat geen hoop het
TRONE, Da 7:9 t. is neergesit
TRONK, Mt 25:36 Ek was in t., julle het my besoek
 Han 5:18 apostels gearrester en in t. gesit
 Han 5:19 engel deure van t. oopgemaak
 Han 12:5 Petrus in t., gemeente bid
 Han 16:26 fondamente van t. geskud
 Heb 13:3 Dink aan dié in die t.
 Op 2:10 Duiwel sal party in t. gooi
TROON, Ps 45:6 God is u t. vir ewig en altyd
 Jes 6:1 ek het Jehovah op hoë t. sien sit
 Mt 25:31 Wanneer Seun van mens kom, op t. sit
 Lu 1:32 God sal hom t. van sy vader Dawid gee
TROOS, Jer 31:15 Ragel geweier om haar te laat t.
TROTS, De 17:12 t. is en nie luister na
 Spr 8:13 Ek haat selfverheerliking en t.
 Spr 16:5 Elkeen wat t. is, afskuwelik vir Jehovah
 Spr 16:18 T. lei tot ondergang
 2Te 1:4 praat met t. van julle in
TROU, De 7:3 mag nie met hulle t.
 Mt 22:30 in opstanding nie t.
 1Kor 7:9 beter om te t. as van begeerte te brand
 1Kor 7:36 sondig nie. Laat hulle t.
 1Kor 7:38 een wat nie t. nie, doen beter
 1Kor 7:39 vry om te t., net in Here
TUIN, Ge 2:15 hom in t. van Eden laat woon
TULBAND, Ese 21:26 Verwyder t., haal kroon af
TWEEDE DOOD, Op 2:11 sal nie t. ondervind nie
 Op 20:6 t. het geen gesag oor hulle
 Op 20:14 poel van vuur beteken t.
TWEE-TWEE, Lu 10:17 70 t. uit gestuur
TWYFEL, Mt 21:21 As julle geloof het en nie t. nie
 Jak 1:6 vra in geloof, sonder om te t.
 Jud 22 genade aan party wat t.

TYD, Pr 3:1 'n t. vir elke bedrywigheid
 Pr 9:11 t. en onverwagse gebeure
 Da 7:25 vir 'n t., tye en 'n halwe t.
 Joh 7:8 want my t. het nog nie gekom nie
 1Kor 7:29 oorblywende t. is kort
 Ef 5:16 maak beste gebruik van t.
TYDELIKE, Heb 11:13 was t. inwoners in land
TYDPERKE, Da 2:21 Hy verander tye en t.
 Han 1:7 tye en t. nie vir julle om te weet
 1Te 5:1 wanneer dit by tye en t. kom

U

UITDAAG, 1Sa 17:26 leërmag van lewende God u.
UITEINDE, Jes 46:10 Van begin af voorspel ek u.
UITERLIKE, Mt 22:16 u kyk nie na mense se u.
 2Kor 10:7 Julle kyk na dinge volgens u.
 Ga 2:6 God kyk nie na mense se u.
UITGEEKIES, Mt 24:31 dié wat u., bymekaarmaak
UITGEMORS, Lu 15:13 sy besittings alles u.
UITGEPUT, Jes 40:28 Jehovah raak nooit u.
UITGESTELDE, Spr 13:12 U. verwagting, hart siek
UITGEWIS, Han 3:19 sodat julle sondes u. kan word
UITLANDER, Eks 22:21 mag nie u. sleg behandel
 Nu 9:14 een wetsbepaling vir julle en u.
 De 10:19 Julle moet lief wees vir u.
UITLEEN, Lu 6:35 u. sonder hoop om iets terug te kry
UITLOS, Han 5:38 hierdie manne u.
UITSLUITLIKE TOEGEWYDHEID, Eks 34:14 vereis u.
 Hgl 8:6 u. so onversetlik soos die Graf
UITTART, Spr 27:11 hom wat my u., antwoord gee
UITWEG, 1Kor 10:13 hy sal ook u. gee
URIM EN TUMMIM, Eks 28:30 U. in borsstuk
USSIA, 2Kor 26:21 Koning U. melaatse gebly
UUR, Mt 24:36 Niemand weet dag en u.

V

VAARDIGHEDE, Eks 35:35 v. gegee om werk te doen
VADER, Ps 2:7 Vandag het ek jou v. geword
 Ps 89:26 U is my v., my God
 Ps 103:13 Jehovah betoon genade, soos v.
 Jes 9:6 Ewige V., Prins van Vrede
 Mt 6:9 Ons V. in hemel, laat u naam
 Mt 23:9 moet niemand op aarde julle v. noem
 Lu 2:49 ek moet in die huis van my V. wees
 Joh 5:20 V. wys Seun alles wat hy doen
 Joh 10:30 Ek en die V. is een
 Joh 14:6 Niemand kom na V. behalwe deur my
 Joh 14:9 my gesien, het V. gesien
 Joh 14:28 V. is groter as ek
 Joh 14:28 bly wees dat ek na V. gaan
VADERLOSE, Ps 68:5 Vader van v., beskermer
VAL, Spr 24:16 regverdigde kan sewe keer v.
 Spr 29:1 hardkoppig nadat tereggewys, sal v.
 Pr 4:10 as een v., kan ander ophelp
 1Kor 10:12 staan, oppas dat hy nie v.
VALSE, Mt 26:59 Sanhedrin v. getuienis gesoek
 Ga 2:4 v. broers ingeglip
 2Pe 2:3 uitbuit met v. woorde
VANG, Lu 5:10 Van nou af mense lewend v.
VARK, 2Pe 2:22 v. het weer in modder gaan rol
VARKE, Lu 8:33 demone in v. ingegaan
 Lu 15:15 na veld gestuur om v. op te pas
VAS, Jes 58:6 dit is die v. wat ek verkies
 Lu 18:12 Ek v. twee keer per week
VASGEBIND, Ge 22:9 Hy het sy seun Isak v.
VASGESTELDE TYD, Hab 2:3 visioen vir v.
VASGESTELDE TYE, Lu 21:24 v. van nasies

VASHOU, Flp 2:16 stewig aan woorde van lewe v.
VASTE, Ps 26:12 voet op v. grond
 Heb 5:14 v. voedsel vir volwasse mense
VEG, 2Kor 20:17 sal nie hoef te v.
 Han 5:39 anders v. julle dalk teen God
VEGTER, Jer 20:11 Jehovah met my soos v.
VEILIG, Spr 3:23 Dan sal jy v. loop
VEILIGHEID, 1Kn 4:25 Israel woon in v., elkeen onder
 Spr 12:3 Niemand verkry v. deur goddelose dade
 Jes 32:17 gevolg van regverdigheid sal v. wees
 Ho 2:18 ek sal hulle in v. laat woon
VENSTER, Han 20:9 Eutigus het by v. gesit
VER, Han 17:27 hy is nie v. van elkeen van ons
VERANDER, Mal 3:6 ek is Jehovah, ek v. nie
 Ro 12:2 v. julle denkwys
VERANTWOORDELIK, 1Sa 22:22 Ek is v. vir dood van
 Ese 3:18 ek sal jou v. hou vir sy dood
VERANTWOORDELIKHEID, Ro 1:14 v. teenoor wyses
VERBIND, Jes 61:1 om dié met 'n gebroke hart te v.
 Ese 34:16 een wat beseer is, sal ek v.
VERBLIND, 2Kor 4:4 god van wêreld verstande v.
VERBOND, Ge 15:18 Jehovah v. met Abram gemaak
 Jer 31:31 Ek sal nuwe v. maak
 Lu 22:20 nuwe v. deur my bloed
 Lu 22:29 ek maak v. met julle, soos Vader met my
VERDEDIG, Flp 1:7 v. en wetlik bevestig
 1Pe 3:15 altyd gereed om julle te v.
VERDEEL, Flp 1:23 voel asof ek in twee v. is
VERDEELDHEID, 1Kor 1:10 nie enige v. onder julle
VERDEELDHEID, Mt 10:35 ek kom om v. te veroorsaak
 Ro 16:17 pas op vir dié wat v. veroorsaak
VERDER, 1Kor 4:6 nie v. gaan as wat geskryf is
VERDIEN, Mt 10:37 v. nie om my dissipel te wees
 Lu 15:19 v. nie om Pa se seun genoem te word
 Heb 11:38 wêreld het hulle nie v. nie
VERDIEP, 1Ti 4:15 Dink na, wees v. daarin
VERDRA, Hab 1:13 u kan goddeloosheid nie v. nie
 Ro 9:22 God het voorwerpe van woede v.
 1Kor 4:12 Wanneer vervolg word, v. ons geduldig
 Ef 4:2 mekaar in liefde v.
VERDRUKKING, Mt 24:21 groot v. soos daar
 Han 14:22 baie v. om in Koninkryk in te gaan
 Op 7:14 hulle wat uit groot v. kom
VERDUIDELIK, Ne 8:8 Wet v. en gehelp verstaan
 Han 17:3 v. en bewys deur verwysings
VERDUUR, 1Pe 2:20 ly weens goeie dinge en dit v.
VEREIS, Job 23:12 woorde bewaar, selfs meer as v.
 Lu 12:48 aan wie baie gegee is, sal baie v. word
VERENIG, 1Kor 1:10 wees v. in wat julle sê
 Flp 2:2 heiltemal v., dieselfde denke
VERFRISSING, Han 3:19 Jehovah sal tye van v. bring
VERGAAN, 1Kor 15:42 liggaam opgewek, v. nie
VERGADERINGBYWONING, Heb 10:25 ons v. nie
VERGEET, De 4:23 Wees versigtig dat julle nie v.
 Ps 119:141 ek het nie u beuele v.
 Jes 49:15 Kan 'n vrou haar eie baba v.?
 Flp 3:13 v. dinge wat agter is
 Heb 6:10 God is nie onregverdig, sal nie werk v.
VERGELYK, Jes 46:5 Met wie kan julle my v.?
 Ga 6:4 nie self met ander v.
VERGEWE, Ne 9:17 God wat vryelik v.
 Ps 25:11 v. my oortreding, al is dit groot
 Ps 103:3 Hy v. al jou oortredings
 Spr 17:9 oortreding v., bevorder liefde
 Jes 55:7 want God sal ryklik v.
 Mt 6:14 as julle v., sal Vader julle v.
 Mt 18:21 hoeveel keer my broer v.?

Mt 26:28 bloed uitgestort sodat sondes v. kan word
Kol 3:13 soos Jehovah julle vryelik v.

VERGOEDING, Eks 21:36 hy moet v. betaal

VERHARD, Heb 3:13 v. deur krag van sonde

VERJAARSDAG, Ge 40:20 was Farao se v.

Mt 14:6 toe Herodes se v. gevier is

VERKEERD, Job 6:24 Vertel my wat ek v. gedoen het

VERKONDIG, Mt 9:35 Jesus v. goeie nuus van
Mt 24:14 goeie nuus van Koninkryk v.
1Kor 11:26 dood van Here v., totdat
2Ti 4:2 V. die woord, bly dringend besig

VERKORT, Mt 24:22 dae v. weens dié wat uitgekies is

VERLAAT, De 31:8 sal jou nie in die steek laat of v.
1Sa 12:22 Jehovah sal sy volk nie v.
Ps 27:10 al v. my eie pa en ma my
Ps 37:28 Jehovah sal nie sy lojales v.
Jes 1:28 dié wat Jehovah v., kom aan hulle einde
Mt 19:29 elkeen wat huise of landerye v.
Heb 13:5 jou nooit v. en nooit in die steek laat

VERLAMDE, Lu 5:24 vir v. gesê: Staan op, tel bed op

VERLANG, Job 14:15 v. na werk van u hande
Ps 84:2 hele wese v. na Jehovah
Jes 26:9 ek v. na u met my hele hart en siel
Flp 1:8 ek v. na julle almal

VERLANGE, Ps 84:2 v. na voorhoer van Jehovah
1Pe 2:2 Ontwikkel v. na suiwer melk van woord

VERLEË, Esr 9:6 v. om my gesig na God op te lig

VERLIES, Flp 3:7 dinge baie beteken, as v. beskou

VERLIGTING, 2Te 1:7 onderdruk of sal v. ontvang

VERLORE, Ps 119:176 Ek het soos v. skaap afgedwaal
Ese 34:4 Julle het nie na v. een gesoek
Lu 15:24 my seun was v. en is gevind

VERLOSSING, Est 4:14 v. uit 'n ander bron
Lu 21:28 julle v. kom nader

VERMETEL, 1Sa 15:23 om v. op te tree, is dieselfde as
Spr 11:2 dié wat v. is

VERMETELE, Ps 19:13 hou terug van v. dade

VERMINKTES, Mt 15:31 v. gesond gemaak

VERMOË, Mt 25:15 talente volgens v. gegee

VERMOËNS, Ro 12:6 Ons het verskillende v.

VERMY, Jes 53:3 Mense het hom v.

VERNEDER, Ps 25:3 Niemand wat op u hoop, v.
2Kor 6:8 ons word geëer en v.

VERNIET, Jes 45:19 dat hulle my v. moet dien
Jes 65:23 sal nie v. hard werk nie
Mt 10:8 v. ontvang, v. gee
Mt 15:9 v. dat hulle my aanbied
1Kor 15:58 werk vir die Here is nie v.
Op 22:17 v. van water van lewe drink

VERNIETIG, 2Te 1:9 sal as straf vir ewig v. word
Op 11:18 vernietigers van aarde v.

VERNIETIGING, 2Pe 3:7 v. van goddelose mense

VERPLIGTING, Pr 12:13 dit is die hele v. van die mens
1Jo 3:16 onder v. om lewens vir broers te gee

VERRAAI, Mt 26:21 Een van julle sal my v.

VERSEËL, Da 12:9 woorde v. tot tyd van einde
Ef 1:13 Nadat julle glo, is julle v.
Op 7:3 totdat ons slawe v. het

VERSIER, Tit 2:10 leringe van God in alles kan v.

VERSIERING, 1Pe 3:3 v. moenie uitlike dinge wees

VERSIGTIG, Spr 14:16 wyse v., vermy wat slag is
Mt 10:16 v. soos slange, onskuldig soos duive

VERSKIL, Mal 3:18 sien v. tussen regverdige en

VERSKONING, Joh 15:22 geen v. vir hulle sonde nie
Ro 1:20 Daarom het hulle geen v. nie
Jud 4 v. vir skaamtelose gedrag

VERSKYN, 1Kor 4:9 apostels, laaste laat v.

VERSLAG, Nu 14:36 met negatiewe v. teruggekeer

VERSOEKE, Ps 20:5 Mag Jehovah jou v. vervul

VERSOEKING, Mt 6:13 moet ons nie in v. bring nie
Mt 26:41 bid sodat julle nie in v. kom

VERSOEKINGS, 1Kor 10:13 v., wat ander deurmaak

VERSOEN, Ro 3:25 offer, met God v. kan word
Ro 5:10 ons het met God v. geraak
2Kor 5:19 God wêreld met homself v.

VERSOENING, Le 16:34 een keer per jaar v. doen

VERSOENINGSOFFER, 1Jo 2:2 hy is 'n v.

VERSORG, 1Te 2:7 soos wanneer ma v.

VERSTAAN, He 8:8 gehelp v. wat voorgelees is

VERSTORF, Ps 119:27 Laat my die betekenis van u bevel v.

VERSTAND, Mt 22:37 Jehovah liefhê met hele v.
Ro 7:25 met my v. slaaf van God se wet

VERSTANDIGE, Spr 12:23 V. bly stil oor wat hy weet
Spr 14:15 v. dink mooi voordat hy iets doen
Spr 22:3 v. sien gevaar en vermy dit
Mt 24:45 Wie is die getroue en v. slaaf

VERSTERK, 1Sa 30:6 by Jehovah hulp gesoek, en is v.
Jes 35:3 V. dié wie se hande slap hang
Jes 41:10 Ek sal jou v.
Lu 22:32 nadat jy terugkeer het, v. jou broers
Han 14:22 dissipels v. en aangemoedig
Flp 2:13 God v. julle, gee julle die begeerte

VERSWAK, 1Te 3:3 niemand deur moeilike tye v.

VERTALERS, 1Kor 12:30 Is almal v.?

VERTEENWOORDIGER, Joh 7:29 ek is v. van hom

VERTRAP, Heb 10:29 Seun van God v.

VERTROOS, Job 2:11 vriende kom om Job te v.
Ps 94:19 sorg my oorweldig, u my v.
Jes 49:13 Jehovah het sy volk v.
Jes 61:2 om almal wat treur, te v.
Mt 5:4 Gelukkig is dié wat treur, sal v. word
2Kor 1:4 sodat ons ander kan v.
1Te 2:11 aangehou om aan te spoor en te v.

VERTROOSTERS, Job 16:2 Julle is hopelose v.!

VERTROOSTING, Ro 15:4 deur v. uit Skrif
2Kor 1:3 God van alle v.

VERTROU, Ps 9:10 Dié wat u naam ken, sal op u v.
Ps 62:8 V. te alle tye op hom
Ps 84:12 gelukkig is die mens wat op u v.
Spr 3:5 V. op Jehovah met jou hele hart
Spr 28:26 een wat op sy eie hart v., is dwaas
Jer 17:5 Vervloek is man wat op mense v.
2Kor 1:9 nie op onself v., maar op God
1Pe 4:11 v. op krag wat God voorsien

VERTROUW, Ps 56:11 in God my v., ek is nie bang
Ps 146:3 Moenie v. in magtiges stel nie
Spr 3:26 Jehovah, jou v.
2Te 3:4 ons het v. in die Here dat julle

VERTROULIK, Spr 11:13 betroubare persoon hou v.

VERTROULIKE, Spr 20:19 Lasteraar praat, v. dinge
Spr 25:9 moenie v. sake openbaar nie
Am 3:7 v. saak aan profete openbaar

VERVALS, 2Kor 4:2 v. nie die woord van God

VERVLOEK, Nu 23:8 Hoe dié v. wat God nie v.?
Job 2:5 u beslis in u gesig v.
Job 2:9 vrou het gesê: V. God en sterf!
Ro 12:14 Seën en moenie v.

VERVLOEKTE, Joh 7:49 wat Wet nie ken, v. mense

VERVOLG, Ps 119:86 Mense v. my sonder rede
Mt 5:10 Gelukkig is dié wat v. is
Joh 15:20 my v., sal julle ook v.
Han 22:4 Ek het hierdie Weg tot dood toe v.
Ro 12:14 seën dié wat julle v.

1Kor 4:12 Wanneer v. word, verdra ons geduldig
 2Kor 4:9 v., maar nie in steek gelaat
VERVOLGING, Mt 13:21 v. ontstaan, struikel hy
 Mr 4:17 sodra v. ontstaan, struikel hulle
VERVOLGINGE, Mr 10:30 kinders en landerye, met v.
VERVUL, Mt 5:17 nie einde maak aan Wet, maar v.
VERWAARLOOS, 1Ti 4:14 Moenie gawe in jou v. nie
VERWAG, Mi 6:8 wat v. Jehovah van jou?
 Mt 24:44 uur wanneer julle dit nie v. nie
VERWAGTING, Spr 13:12 Uitgestelde v., hart siek
VERWELKOM, Ro 14:1 V. persoon wat swakhede het
 Ro 15:7 V. mekaar, soos Christus
VERWERP, Jer 8:9 woord van Jehovah v.
 1Te 4:8 v. nie 'n mens nie, maar God
VERWOES, Ese 21:27 Ek sal dit v., v., v.
VERWYDER, 1Kor 5:13 V. goddelose mens
VESTING, Ps 18:2 Jehovah is my v.
 Jes 25:4 v. vir hulpelose v., vir arme
VESTINGS, 2Kor 10:4 om sterk v. af te breek
VINGER, Eks 8:19 Dit is die v. van God!
 Eks 31:18 tablette waarop v. van God geskryf het
VIS, Jon 1:17 v. gestuur om Jona in te sluk
VISIOEN, Da 10:14 v. oor die toekoms
VISSE, Joh 21:11 net vol groot v., 153 v.
VISSERS VAN MENSE, Mt 4:19 ek sal julle v. maak
VLEES, Ge 2:24 sal een v. word
 Ro 8:5 dié wat volgens v. lewe
 1Kor 15:50 v. en bloed kan nie Koninkryk erf
 Ga 5:19 werke van v. kan duidelik gesien word
VLEESLIK, 1Kor 3:3 julle is nog steeds v.
VLEESLIKE, Kol 2:18 op v. manier dink
VLEI, Spr 29:5 medemens v., lei hom in strik
 Jud 16 v. ander om self te bevoordeel
VLEIENDE, Spr 26:28 v. mond is verwoestend
VLEIS, Spr 23:20 hulle ooreet aan v.
VLEITAAI, Ro 16:18 hulle verlei met v.
VLERKE, Rut 2:12 onder wie se v. jy
VLIES, Rig 6:37 dou net op v.
VLOED, Mt 24:38 voor die V. geëet en gedrink
 2Pe 2:5 hy het v. oor wêreld gebring
VLOEDWATERS, Ge 9:11 Nooit weer deur v. vernietig
VLOT, Eks 4:10 ek kan nie v. praat nie
VLUG, 1Kor 6:18 V. vir seksuele onsedelikheid!
VOED, Joh 21:17 Jesus het gesê: V. my skapie
 Ef 5:29 man v. en versorg sy liggaam
VOEDSEL, Ps 145:15 U gee v. op regte tyd
 Mt 24:45 hulle v. op regte tyd gee?
 Joh 4:34 My v. is om wil te doen van hom
 Joh 6:27 nie werk vir v. wat sleg word
 Han 14:17 Hy gee reën en oorgenoeg v.
VOEDSELTEKORTE, Mt 24:7 daar sal v. wees
VOËLS, Mt 6:26 Hou v. van hemel goed dop
VOËLVANGER, Ps 91:3 uit strik van v.
VOETE, Jes 52:7 v. wat goeie nuus bring, lieflik
 Joh 13:5 het dissipels se v. begin was
 Ro 16:20 Satan binnekort onder julle v. vergruis
 1Kor 15:27 alles onder sy v. geplaas
VOETSTAPPE, Jer 10:23 mens behoort nie v. te rig
 1Pe 2:21 sy v. noukeurig volg
VOLG, Joh 10:27 My skape luister en v. my
 Op 14:4 Lam v. ongeag waar hy gaan
VOLGELING, Mt 19:21 kom word my v.
VOLGORDE, 1Kor 15:23 in regte v.: Christus
VOLGROEIDE, Ef 4:13 'n v. man kan word
VOLHARD, Mt 24:13 een wat tot einde v., gered
 Ro 12:12 v. wanneer moeilike tye deurmaak

VOLHARDING, Lu 8:15 met v. vrug dra
 Lu 21:19 Deur v. sal julle julle lewens red
 Ro 5:3 swaarkry lei tot v.
 Jak 1:4 laat v. sy werk voltooi
 Jak 5:11 gehoor van v. van Job
VOLMAAK, De 32:4 Die Rots, v. is sy werk
 Ps 19:7 wet van Jehovah is v.
 Mt 5:48 wees v., soos Vader v. is
VOLMAAKTHEID, Heb 2:10 tot v. bring, hom laat ly
VOLTOOI, Han 20:24 loopbaan en bediening v.
 2Ti 4:7 ek het die wedloop v.
VOLWASSE, 1Kor 14:20 v. in julle denke
 Heb 5:14 v. mense, denkerwmoë geoeffen
 Heb 6:1 hard werk om geestelik te w. word
VOORBEELD, Joh 13:15 vir julle v. gestel
 1Ti 4:12 Word 'n v. vir getroues
 Heb 8:5 maak alles volgens die v.
 Jak 5:10 neem profete as v.
 1Pe 2:21 Christus vir julle 'n v. gelaat
VOORBEELDE, 1Kor 10:6 hierdie dinge het v. geword
 1Pe 5:3 word v. vir die kudde
VOORBERE, Joh 14:2 ek gaan vir julle plek v.
VOORDEEL, Ro 15:3 selfs Christus soek nie eie v.
 1Kor 7:35 ek sê dit tot julle eie v.
 1Kor 10:24 nie eie v. soek nie, maar
 1Kor 10:33 soek v. van meerderheid
VOORDELE, Spr 14:23 Elke soort harde werk hou v. in
VOORDELIG, Han 20:20 alles vertel wat v. is
 1Kor 6:12 alles toelaatbaar, maar nie v. nie
VOORKOMS, 1Sa 16:7 Moenie na sy v. kyk nie
 Mt 17:2 v. het voor hulle verander
VOORKOP, Ese 3:9 v. harder as vuurklip
VOORKOPPE, Ese 9:4 merk op v. van mense
VOORNEME, Spr 16:4 laat alles tot sy v. bydra
 Ro 8:28 dié wat volgens sy v. geroep is
 Ro 9:11 sodat God se v. nie van werke afhang
 Ef 3:11 volgens sy ewige v.
VOORREG, Flp 1:29 v. om vir hom te ly
VOORSELLING, Nu 23:23 geen slegte v. teen Jakob
VOORTREK, Jak 2:9 as julle mense v.
VOORUITBEPLAN, Ro 13:14 moenie v. om begeertes
VOORUITGANG, 1Ti 4:15 almal jou v. duidelik sien
VOORWERP, Ro 9:21 een v. vir eervolle gebruik
VORDERING, Flp 3:16 soos ons reeds v. gemaak het
VORENTOE, Jl 2:7 Elkeen gaan reguit v.
VORIGE, Jes 65:17 sal nie aan v. dinge gedink word
VORM, Ro 12:2 moenie toelaat dat wêreld julle v.
VRA, De 10:12 wat v. Jehovah van julle?
 Ps 2:8 V. my, ek sal nasies gee
 Mt 6:8 weet wat julle nodig het, voor julle v.
 Mt 7:7 Hou aan v., daar sal gegee word
 Joh 14:13 wat julle in my naam v., sal ek doen
 Ef 3:20 meer doen as alles wat ons v.
 1Jo 5:14 ongeag wat ons volgens sy wil v.
VRAAG, Ps 38:4 my oortredings soos 'n swaar v.
 Ps 68:19 Jehovah dra elke dag ons v.
 Ga 6:5 elkeen dra sy eie v.
VREDE, Ps 29:11 sal sy volk met v. seën
 Ps 37:11 vind vregude in oorvloed van v.
 Ps 72:7 oorvloed van v. totdat maan nie daar is
 Ps 119:165 Oorvloedige v. aan dié wat u wet liefhet
 Spr 17:1 droë brood waar v. is, is beter as
 Jes 9:7 geen einde aan v.
 Jes 48:18 Dan sal jou v. soos 'n rivier word
 Jes 54:13 jou kinders sal groot v. geniet
 Jes 57:21 geen v. vir goddeloses nie
 Jes 60:17 sal v. as opsieners aanstel

Jer 6:14 Daar is v.! terwyl daar geen v. is nie
 Mt 5:9 Gelukkig is dié wat v. maak
 Mt 5:24 Maak eers v. met jou broer
 Mr 9:50 en bewaar v. onder mekaar
 Joh 14:27 ek sal aanhou om v. te gee, v. wat ek gee
 Han 9:31 gemeente het tydperk van v. ingegaan
 Ro 5:1 v. geniet met God deur Jesus
 Ro 8:6 bly dink aan dinge van gees, beteken v.
 Ro 12:18 lewe in v. met alle mense
 Ro 14:19 doen alles moontlik om v. te bevorder
 Flp 4:7 v. van God, sal julle harte beskerm
 1Te 5:3 V. en veiligheid! skielike vernietiging
 1Pe 3:11 v. soek en nastreef
 Op 6:4 gesag om v. van aarde weg te neem

VREEDSAME, Jes 32:18 woon in v. plek
VREEMD, 1Pe 4:4 Hulle vind dit v. omdat julle nie
VREEMDELINGE, Joh 10:5 nie stem van v. ken
VREES, Jes 44:8 moenie lam word van v.
 Lu 12:4 nie dié v. wat liggaam doodmaak
 Lu 21:26 flou word van v.
 Flp 2:12 met v. en diep respek aan redding werk
 1Jo 4:18 geen v. in liefde

VREESLIK, Heb 10:31 v. om in God se hande te val
VREES VIR JEOVAH, Ps 19:9 v. is suiwer
 Ps 111:10 v. is begin van wysheid
 Spr 8:13 V. beteken om te haat wat sleg is

VREUGDE, Ne 8:10 v. van Jehovah julle vesting
 Job 38:7 môresterre het saam van v. uitgeroep
 Ps 12:hy vind v. in wet van Jehovah
 Ps 37:4 Vind grootste v. in Jehovah
 Ps 40:8 vir my 'n v. om u wil te doen
 Ps 137:6 my grootste redes tot v.
 Ps 149:4 Jehovah vind v. in sy volk
 Lu 8:13 woord met v. ontvang, maar
 Lu 15:7 v. in hemel oor sondaar wat berou toon
 Joh 16:22 niemand sal julle v. wegneem
 Ro 7:22 ek vind werklik v. in die wet van God
 Ro 15:13 Mag God julle met v. en vrede vul
 2Kor 9:7 God is lief vir iemand wat met v. gee
 1Te 1:6 met v. van die heilige gees
 Heb 12:2 weens v. voor hom, folterpaal verduur
 3Jo 4 v. wanneer kinders weg van waarheid volg

VREUGDEVOL, Spr 8:30 die hele tyd v. voor hom
 Pr 8:15 niks beters as eet, drink en v. wees
 Jes 65:13 My knegte v., maar julle sal skaam kry
 Jes 65:14 My knegte sal v. uitroep weens

VREUGDEVOLLE, 1Kr 28:9 dien God met v. siel

VRIEND, 2Kr 20:7 u v. Abraham
 Ps 55:13 my v. wat ek goed ken
 Spr 3:32 Jehovah v. van dié wat reg lewe
 Spr 17:17 Ware v. betoon altyd liefde
 Spr 18:24 v. wat lojalier is as broer
 Spr 27:6 v. se teregwinging bewys getrouheid
 Jak 2:23 Abraham Jehovah se v. genoem
 Jak 4:4 v. van wêreld is vyand van God

VRIENDE, Spr 14:20 ryk man het baie v.
 Spr 16:28 lasteraar dryf goeie v. uitmekaar
 Lu 16:9 Maak v. deur middel van rykdom
 Joh 15:13 lewe vir v. gee
 Joh 15:14 v. as julle doen wat ek beveel

VRIENDELIK, 2Ti 2:24 v. wees teenoor almal
VRIENDELIKE, Spr 25:15 v. tong kan been breek
VRIENDSKAP, Ps 25:14 v. met Jehovah behoort aan
VROU, Ge 2:24 hy sal sy v. aankleef
 Ge 3:15 vyandskap tussen jou en die v.
 Ge 27:46 As Jakob v. neem uit dogters van
 Spr 5:18 vind vreugde in v. van jeug

Spr 12:4 Goeie v. is kroon vir haar man
 Spr 18:22 goeie v. vind, iets goeds gevind
 Spr 21:19 as saam met strygerie, moeilike v.
 Spr 31:10 Wie kan goeie v. vind?
 Pr 7:26 v. wat bitterder is as dood
 Pr 9:9 Geniet lewe met jou geliefde v.
 Mal 2:15 nie bedrieglik optree teenoor v. van jeug
 1Kor 7:2 moet elke man sy eie v. hê
 1Kor 9:5 het reg om gelowige v. saam te neem
 Op 12:1 V. het die son soos kleed om haar

VROUENS, De 31:12 volk bymeekaarkom, mans, v.
 1Kn 11:3 700 v. en 300 byvrouens
 Spr 31:3 Moenie jou krag op v. vermors
 Ef 5:22 v. onderdanig aan hulle mans
 Ef 5:28 mans hulle v. liefhê soos hulle eie liggame

VRUG, Lu 8:15 met volharding v. dra
 Ga 5:22 v. van die gees is liefde, vreugde
VRUGBAAR, Ge 1:28 Wees v. en word baie
VRUGTE, Ge 3:3 v., jy mag nie daaraan raak nie
 Mt 7:20 aan hulle v. herken
 Mt 21:43 aan nasie gegee wat v. voortbring
 Joh 15:2 maak skoon sodat dit meer v. kan dra
 Joh 15:8 baie v. dra, gee dit eer aan my Vader

VRYGEMAAK, Ro 6:18 van sonde v.
VRYGESPREEK, Ro 6:7 wat gestref het, v. van sonde
VRYGEWIG, 1Ti 6:18 om v. te wees, bereid om te deel
VRYGEWIG, Spr 11:25 v. sal voorspoedig wees
VRYGEWIGHEID, De 15:8 jou hand met v. oopmaak
VRYHEID, Ro 8:21 glorieryke v. van kinders van God
 2Kor 3:17 waar gees van Jehovah is, is v.
 1Pe 2:16 nie v. gebruik as verskoning
 2Pe 2:19 hulle belowe v.

VRYMAAK, Joh 8:32 waarheid sal julle v.
VRYSTED, Nu 35:11 geskikte stede kies as v.
 Jos 20:2 Kies vir julle v.

VRYYWILLIG, Eks 36:2 beweeg om werk v. te doen
VRYYWILLIGE, 1Kr 29:17 al hierdie v. bydraes gegee
VUIL, Ef 5:4 dwase praatjies, v. grappe
 Kol 3:8 ontslae raak van v. praatjies

VUL, Ge 1:28 v. aarde en bewerk dit
VULLIS, 1Kor 4:13 ons soos v. van wêreld geword
 Flp 3:8 beskou dit as klomp v.

VUUR, Jer 20:9 soos brandende v. in gebeente
 Mt 25:41 ewige v. vir Duiwel voorberei
 1Kor 3:13 v. wys gehalte van bouwerk
 1Te 5:19 nie v. van gees blus nie
 2Ti 1:6 gawe van God soos v. aan gang hou
 2Pe 3:7 aarde wat nou bestaan, vir v. bewaar

VUUROOND, Da 3:17 God kan uit v. red
VYAND, Ro 12:20 as v. honger is, gee iets
VYANDE, Ps 110:2 tussen v. in en onderwerp hulle
 Mt 5:44 Hou aan om julle v. lief te hê
 Mt 10:36 mens se familieledes sal sy v. wees

VYANDSKAP, Ge 3:15 v. tussen jou en die vrou
VYEBOOM, 1Kn 4:25 onder wingerdstok en v.
 Mi 4:4 elkeen onder sy wingerdstok en v.
 Mt 21:19 v. dadelik uitgedroog
 Mr 13:28 Leer uit illustrasie van v.

W

WAAK, Mt 26:41 Hou aan v. en bid
WAAKSAAM, 1Pe 4:7 v. wanneer dit kom by gebede
WAARBORG, Han 17:31 v. gegee deur hom op te wek
 2Kor 1:22 w. van wat kom, die gees
 Ef 1:14 v. van ons erfenis

WAARDEER, 1Kor 16:18 moet sulke manne w.
 Flp 2:29 respekteer en v. sulke manne

WAARDELOOS, Ps 101:3 niks w. voor my oë
WAARDERING, Ps 27:4 met w. na tempel kyk
 1Te 5:13 w. vir hulle weens werk
WAARDEVOLLE, Spr 3:9 Eer Jehovah met w. dinge
WAARDIG, Mt 10:11 soek mense wat boodskap w. is
 Han 5:41 was bly omdat w. bevind is om
 Han 13:46 nie w. om ewige lewe te ontvang nie
 Kol 1:10 lewe op manier wat Jehovah w. is
 2Te 1:5 w. bevind vir die Koninkryk
 Op 4:11 U is w., Jehovah, want
WAARDIGHEID, Spr 5:9 nie jou w. aan ander gee
WAARHEID, Ps 15:2 in sy hart die w. praat
 Ps 119:160 hele inhoud van u woord is w.
 Spr 23:23 Koop w., moet dit nooit verkoop nie
 Joh 4:24 met gees en w. aانبid
 Joh 8:32 w. ken, w. sal julle vrymaak
 Joh 14:6 Ek is die weg, die w., die lewe
 Joh 16:13 gees van w. sal julle in hele w. inlei
 Joh 17:17 heilig deur die w. U woord is die w.
 Joh 18:38 Pilatus vir hom gesê: Wat is w.?
 2Kor 13:8 kan niks teen die w. doen
 Ef 4:25 elkeen van julle moet w. met naaste praat
 2Pe 1:12 julle staan vas in die w.
 3Jo 4 vreugde wanneer kinders weg van w. volg
WAARSÊERY, Nu 23:23 geen w. teen Israel nie
 De 18:10 w. gebruik, nooit onder julle gevind
WAARSKU, Ese 3:17 jy moet hulle namens my w.
 Ese 33:9 as jy iemand wat goddeloos is, w.
WAARSKUWING, Ese 33:4 nie op w. reageer
 1Kor 10:11 opgeskryf as w. vir ons
WAG, Ps 37:7 w. hoopvol op Jehovah
 Mi 7:7 Ek sal geduldig w.
 Hab 2:3 Al sou dit lank neem, blyhard
 Ro 8:25 w. gretig terwyl ons volhard
WAGTORING, Jes 21:8 ek staan op w.
WAKKER, Lu 21:36 Bly w. en doen smeekgebede
 Joh 11:11 ek gaan om hom w. te maak
 Ro 13:11 uur vir julle om w. te word
 1Kor 16:13 Bly w., staan vas in geloof
 Op 16:15 Gelukkig is die een wat w. bly
WALGLIKE, Nu 21:5 ons haat hierdie w. brood
WALGLIKE DING, Mt 24:15 w., verwoesting
WANDEL, Mi 6:8 beskeie w. met jou God!
WANORDE, 1Kor 14:33 nie God van w., maar vrede
WANORDELIK, 2Te 3:6 vermy broer wat w. gedra
WAPEN, Jes 54:17 Geen w. wat gemaak word
WAPENRUSTING, Ef 6:11 Trek volle w. aan
 Ef 6:13 volle w. van God
WAPENS, 2Kor 10:4 w. in ons oorlog nie vleeslik
WARE, Joh 17:3 u leer ken, enigste w. God
WAS, 2Kn 5:10 w. jou sewe keer in Jordaan
 Ps 51:2 W. my skoon van my oortdinging
 Joh 13:5 begin dissipels se voete w.
WATER, Nu 20:10 w. uit groot rots laat kom?
 Spr 25:25 soos koue w. vir siel wat moeg is
 Jes 55:1 almal wat dors is! Kom na w.
 Jer 2:13 het my, die bron van lewende w., verlaat
 Joh 4:10 hy sou vir jou lewende w. gegee het
WATERS, Spr 20:5 gedagtes van hart soos diep w.
 Jer 50:38 haar w. sal opgedroog word
 Sag 14:8 lewende w. uit Jerusalem vloei
 Op 7:17 na fontene van w. van lewe lei
 Op 17:1 prostitue wat op baie w. sit
WEDLOOP, Pr 9:11 vinniges wen nie altyd w. nie
 2Ti 4:7 ek het die w. voltooi
WEDUWEE, Ps 146:9 Hy ondersteun weeskind en w.
 Mr 12:43 arm w. het meer ingegooi as ander
 Lu 18:3 w. het na hom toe bly gaan en gesê

WEDUWEEES, Jak 1:27 na weeskinders en w. omsien
WEEGSKAAL, Le 19:36 moet akkurate w. hê
 Spr 11:1 Bedrieglike w. afskuwelik vir Jehovah
WEEK, 1Kor 16:2 eerste dag van w. iets opspys
WEELDE, Op 18:7 sy het skaamtelose w.
WEERHOU, 1Kor 7:5 seksuele omgang nie w.
WEERLIG, Mt 24:27 w. kom uit en skyn
 Lu 10:18 sien Satan soos w. uit hemel val
WEESKIND, Eks 22:22 nie w. sleg behandel nie
WEESKINDERS, Jak 1:27 na w. en weduwees omsien
WEET DAT EK JEHOVAH IS, Eks 7:5 Egiptenare sal w.
 Ese 39:7 nasies sal moet w.
WEG, Ps 32:8 Ek sal jou w. wys wat jy moet volg
 Spr 16:25 w. lyk reg, maar lei na dood
 Jes 30:21 Dit is die w. Volg dit
 Joh 14:6 Ek is die w., die waarheid, die lewe
 Han 9:2 enigiemand wat aan Die W. behoort
WEGBEWEEG, Heb 10:39 van God w., vernietig word
WEGDRYF, Heb 2:1 sodat ons nooit w. nie
WEGGAAN, 1Kor 7:10 vrou moet nie van man w.
 1Kor 7:15 as ongelowige wil w.
WEGTEER, 2Kor 4:16 mens wat uiterlik is, w.
WEIVELDE, Jes 30:23 vee in uitgestrekte w.
WEKE, Da 9:24 70 w. vasgestel
WENS, Ef 1:5 volgens sy w. en sy wil
WERD, Mt 6:26 Is julle nie meer w. as hulle nie?
WÊRELD, Lu 9:25 hele w. wen, maar homself verloor
 Joh 15:19 geen deel van w., w. haat julle
 Joh 17:16 Hulle is geen deel van w. nie
 1Jo 2:15 nie w. of dinge in w. liefhê nie
 1Jo 2:17 w. gaan verby, maar die een
WERK, Ne 4:6 volk w. met hele hart
 Spr 12:27 hard te w., vir man kosbare skat
 Spr 22:29 man wat sy w. goed kan doen? Hy sal
 Pr 2:24 eet, drink en geniet harde w.
 Joh 5:17 Vader het tot nou toe aanhou w.
 Joh 6:27 Moenie w. vir voedsel wat sleg word nie
 1Kor 15:58 baie om in w. van Here te doen
 Ef 4:28 nie meer steel nie, liever hard w.
 2Te 3:10 nie wil w. nie, ook nie eet nie
WERKE, Ps 104:24 Hoe baie is u w., Jehovah!
 Joh 14:12 hy sal nog groter w. doen
 Heb 9:14 reinig gewetens van dooie w.
WERKER, Lu 10:7 w. is sy betaling werd
WERKLIKE, 1Ti 6:19 kry stewige houvas op w. lewe
WET, Ps 19:7 Die w. van Jehovah is volmaak
 Ps 40:8 u w. is diep binne-in my
 Ps 94:20 moeilikheid maak in naam van die w.?
 Ps 119:97 Hoe lief is ek tog vir u w.!
 Jer 31:33 Ek sal my w. in hulle sit
 Hab 1:4 verloor die w. sy krag, en geregtigheid
 Ro 7:22 vind vreugde in die w. van God
 Ro 10:4 Christus is die einde van die W.
 Ro 13:8 persoon wat medemens liefhet, vervul w.
 Ga 3:24 W. oppasser wat na Christus lei
 Ga 6:2 vervul w. van Christus
 Jak 2:8 gehoorsaam aan koninklike w.
WETBOEK, Jos 1:8 W. moet op jou lippe bly
WETGEWER, Jak 4:12 net een is W. en Regter
WETLIK BEVESTIG, Flp 1:7 goeie nuus w.
WETTELOOSHEID, Mt 24:12 meer w., sal die liefde
 2Te 2:7 w. is reeds in geheim aan die werk
WETTELOSE, Mt 7:23 Gaan weg, julle w. mense!
WETTELOSES, Lu 22:37 Hy is onder w. getel
WIEL, Ese 1:16 asof daar 'n w. binne-in 'n w. is
WIL, Ps 40:8 vir my 'n vreugde om u w. te doen
 Ps 143:10 Leer my om u w. te doen

Mt 6:10 Laat u w. plaasvind op aarde
 Mt 7:21 net die een wat die w. doen van my Vader
 Lu 22:42 laat nie my w., maar u w. plaasvind
 Joh 6:38 neergedaal, nie om my w. te doen nie
 Han 21:14 Laat w. van Jehovah plaasvind
 Ro 12:2 aanvaarbare en volmaakte w. van God
 1Te 4:3 w. van God, wegely van onsedelikeit
 1Jo 2:17 een wat die w. van God doen, bly vir ewig
 1Jo 5:14 hy hoor, ongeag wat ons volgens sy w. vra

WILDE, Job 6:3 my woorde was w. praatjies

WILDERNIS, Jes 35:6 waters sal in die w. vloei
 Jes 41:18 sal w. in poel vol riete verander

WIND, Pr 11:4 Die een wat w. dophou, sal nie saai
 Ef 4:14 rondgegooi deur elke w. van lering

WINDE, Mt 7:25 w. gewaai en aan huis geruk
 Op 7:1 vier w. van aarde styf vashou

WINGERD, Mt 20:1 werkers vir sy w. huur
 Mt 21:28 Kind, gaan werk vandag in w.
 Lu 20:9 Man het w. geplant, na buiteland gereis

WINGERDE, Jes 65:21 sal w. plant, vrugte eet

WINGERDSTOK, Mi 4:4 elkeen onder w. en vyeboom
 Joh 15:1 Ek is ware w., Vader is landbouer

WINS, Spr 15:27 oneerlike w. bring moeilikheid

WIT, Op 7:14 klere gewas en w. gemaak

WOEDE, Kol 3:8 raak ontslae van w., vuil praatjies

WOEDEND, Spr 19:3 eie dwaasheid, w. vir Jehovah

WOESTYIN, Jes 35:1 w. vregedevol en vol blomme
 Jes 35:6 strome sal in die w. vloei

WOLF, Jes 11:6 w. sal by lam wees

WOLK, Heb 12:1 groot w. van getuiens

WOLKE, Pr 11:4 een wat na w. kyk, sal nie oes
 Mt 24:30 sal Seun van mens op w. sien kom

WOLKKOLOM, Eks 13:22 w., vuurkolom

WOLWE, Mt 7:15 w. in skaapsklere
 Lu 10:3 stuur julle soos lammers onder w. in
 Han 20:29 wrede w. sal onder julle inkom

WONDE, Spr 23:29 Wie het w. sonder rede?
 Jes 53:5 weens sy w. is ons genees

WONDERLIK, Ps 139:14 ek is w. gemaak

WOORD, Spr 25:11 'n W. op die regte tyd
 Jes 55:11 my w. sal beslis die doel bereik
 Mr 4:19 keer dat w. verder groei
 Lu 8:12 Duiwel neem w. uit hulle harte weg
 Joh 1:1 In die begin was die W.
 Joh 17:17 U w. is die waarheid
 Han 18:5 Paulus druk besig om w. te verkondig
 Flp 2:16 stewig aan w. van lewe vashou
 2Ti 2:15 w. van die waarheid reg hanteer

WOORDE, Spr 7:21 Sy verlei hom met gladdie w.
 1Kor 2:1 nie met hoë w. gekom nie

WOORD VAN GOD, Jes 40:8 w. bly vir ewig
 Mr 7:13 maak w. kragteloos deur tradisies
 1Te 2:13 aanvaar dit vir wat waarlik is, die w.
 Heb 4:12 w. is lewend en kragtig

WORD, Eks 3:14 Ek sal w. wat ek besluit om te w.

WORTEL, Lu 8:13 saad op rots, geen w.

WRAAK, De 32:35 w. is myne, en die straf
 Ro 12:19 Moenie self w. neem nie
 2Te 1:8 wanneer hy w. neem op dié wat

WREDE, Spr 11:17 w. man, moeilikheid oor homself

WREED, Spr 12:10 genade van godeloses is w.

WROK, Le 19:18 mag nie w. koester nie
 Ef 4:31 enige soort w. koester, woede

WYN, Le 10:9 moenie w. drink wanneer
 Ps 104:15 w. maak hart vrolik
 Spr 20:1 W. maak belaglik; alkohol maak lawaaierig
 Spr 23:31 Moenie na w. se rooi kleur kyk

Pr 10:19 w. maak die lewe aangenaam
 Jes 25:6 feesmaal met goeie, gesuiwerde w.
 Ho 4:11 w. neem begeerte weg om
 Joh 2:9 water wat in w. verander is
 1Ti 5:23 drink 'n bietjie w. vir jou maag

WYS, Spr 3:7 Moenie w. word in eie oë nie
 Spr 13:20 met wyse persone assosieer, sal w. word
 Spr 27:11 wees w., my seun, maak my hart bly
 Jes 5:21 sleg gaan met dié wat w. is in eie oë
 Joh 5:20 Vader w. Seun alles wat hy doen
 1Kor 1:26 Nie baie was w. in oë van mense

WYSE, Spr 9:9 Gee raad aan w., hy word wyser
 Mt 11:25 hierdie dinge vir w. mense weggesteek
 Ef 5:15 julle gedra as w. persone

WYSER, Ps 119:98 U gebod maak my w. as vyande
 Lu 16:8 in praktiese opsig w. as kinders van lig

WYSHEID, Ps 111:10 vrees vir Jehovah begin van w.
 Spr 2:6 Jehovah gee w.
 Spr 4:7 W. is van die grootste belang
 Spr 8:11 w. is beter as korale
 Spr 24:3 Deur w. word huis opgebou
 Pr 7:12 W. bewaar lewe van dié wat dit besit
 Pr 10:10 w. help jou om suksesvol te wees
 Mt 11:19 w. word reg bewys deur resultate
 Lu 21:15 w. wat teenstanders nie kan weerstaan
 Ro 11:33 Hoe diep is God se rykdom en w.
 1Kor 2:5 geloof nie in mense se w., maar in God se
 1Kor 2:6 nie die w. van heersers van wêreld
 1Kor 3:19 w. van wêreld is dwaasheid
 Kol 2:3 In hom is al die skatte van w.
 Jak 1:5 As een van julle w. nodig het, moet hy
 Jak 3:17 w. van bo is vreedsaam

Y

YSTER, Spr 27:17 Soos y. deur y. geslyp word
 Jes 60:17 silwer in die plek van y.
 Da 2:43 net soos y. en klei nie meng

YSTERSEPTER, Ps 2:9 sal hulle met y. breek

YSTERSTAF, Op 12:5 met y. teenoor nasies optree

YWER, Ps 69:9 Y. vir u huis het my verkeer
 Jes 37:32 y. van Jehovah sal dit doen
 Ro 10:2 y. vir God, maar nie akkurate kennis

YWERIG, Tit 2:14 volk y. vir goeie werke

Z

ZEUS, Han 14:12 Barnabas Z., maar Paulus Hermes

0-9

12, Mr 3:14 12, wat hy apostels genoem het
 24, Op 4:4 24 trone en 24 ouderlinge
 70, Ps 90:10 dae van ons lewe 70 jaar
 Da 9:2 Jerusalem verlate, 70 jaar
 Da 9:24 vir jou volk 70 weke vasgestel
 Lu 10:1 Here het 70 gekies en uitgestuur
 77, Mt 18:22 nie tot sewe keer, maar tot 77
 100, Mt 13:8 vrug dra: 100 keer soveel
 Mt 18:12 100 skape en een dwaal af
 Mr 10:30 nou 100 keer soveel kry
 300, Rig 7:7 jou red met die 300 manne
 500, 1Kor 15:6 aan meer as 500 broers verskyn
 666, Op 13:18 sy getal is 666
 1 000, Op 20:2 Satan vir 1 000 jaar gebind
 Op 20:4 1 000 jaar lank met Christus regeer
 4 000, Mr 8:20 sewe brode vir 4 000 mans
 5 000, Mt 14:21 omtrent 5 000 mans het geëet
 144 000, Op 7:4 hoeveel verseël is: 144 000
 Op 14:3 144 000 van die aarde gekoop
 185 000, 2Kn 19:35 engel 185 000 doodgemaak

Woordelys

A

Aartsengel. Beteken “hoof van die engele”.

Die voorvoegsel “aarts-” beteken “hoof” of “vernaamste”. Hierdie definisie en die feit dat “aartsengel” in die Bybel slegs in die enkelvoud verskyn, dui aan dat daar net een aartsengel is. Die Bybel sê dat die naam van die aartsengel Migaël is. – Lu 12:1; Jud 9; Op 12:7.

Ab. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die 5de maand van die Joodse godsdienskalender en die 11de maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Julie begin en in die middel van Augustus geëindig. Die Bybel noem nie die naam van hierdie maand nie, maar dit verwys eenvoudig daarna as “die vyfde maand” (Nu 33:38; Esr 7:9). – Sien Aanh. B15.

Abib. Die oorspronklike naam van die eerste maand van die Joodse godsdienskalender en die sewende maand van die sekulêre kalender. Dit beteken “groen (graan)are”. Dit het in die middel van Maart begin en in die middel van April geëindig. Nadat die Jode uit Babilon teruggekeer het, is dit Nisan genoem (De 16:1). – Sien Aanh. B15.

Adar. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die 12de maand van die Joodse godsdienskalender en die 6de maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Februarie begin en in die middel van Maart geëindig (Est 3:7). – Sien Aanh. B15.

Afgod; afgodediens. ’n Afgod is ’n afbeelding van enigiets, of dit nou werklik of denkbeeldig is, wat mense in aanbidding gebruik. Afgodediens is die verering of aanbidding van ’n afgod of liefde daarvoor. – Ps 115:4; Han 17:16; 1Kor 10:14.

Afgrond. Van die Griekse woord *a’bus-sos*, wat “besonder diep” of “onpeilbaar, grensloos” beteken. Dit word in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik om te verwys na ’n plek of toestand van gevangenskap. Dit kan na die graf verwys, maar dit is nie die

enigste betekenis nie. – Lu 8:31; Ro 10:7; Op 20:3.

Afvalligheid. Die Griekse woord (*a-po-sta-si’a*) kom van ’n werkwoord wat letterlik “om weg te beweeg van” beteken. In die Christelike Griekse Geskrifte word “afvalligheid” hoofsaaklik gebruik vir persone wat ware aanbidding verlaat. – Spr 11:9; Han 21:21; 2Te 2:3.

Agaje. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys dit na ’n Romeinse provinsie in die suide van Griekeland, wat die hele Peloponnesos en die sentrale deel van die Griekse vasteland ingesluit het. Korinte was die hoofstad (Han 18:12). – Sien Aanh. B13.

Alamot. ’n Musiekterm wat “meisies; jong vroue” beteken en wat waarskynlik verwys na die sopraanstemme van jong vroue. Dit is blykbaar gebruik om aan te dui dat ’n musiekstuk of begeleiding in ’n hoë register uitgevoer moes word. – 1Kr 15:20; Ps 46:Ops.

Albaster. Die naam van flessies vir lekkerreuk-olie. Die houers is oorspronklik gemaak van ’n soort klip wat naby Alabastron, Egipte, gevind word. Sulke houers het gewoonlik ’n smal nek gehad wat verseël kon word om te keer dat enige van die kosbare olie uitlek. Die klip self het ook as albaster bekend gestaan. – Mr 14:3.

Alfa en Omega. Name van die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet, wat in Openbaring drie keer saam gebruik word as ’n titel vir God. In hierdie kontekste beteken dit dieselfde as “die eerste en die laaste” en “die begin en die einde”. – Op 1:8; 21:6; 22:13.

Allerheiligste, die. Die binneste vertrek van die tabernakel en die tempel, waar die ark van die verbond gehou is. Volgens die Wet van Moses was die hoëpriester die enigste een wat die Allerheiligste kon binnegaan, en hy kon dit slegs op die jaarlikse Versoendag doen. – Eks 26:33; Le 16:2, 17; 1Kn 6:16; Heb 9:3.

Als. Verskeie houtagtige plante met ’n baie bitter smaak en ’n sterk reuk. Als word fi-

guurlik in die Bybel gebruik om die bitter gevolg van onsedelikheid, onderdrukking, ongeregtheid en afvalligheid te beskryf. In Openbaring 8:11 verwys “als” na ’n bitter en giftige stof. – De 29:18; Spr 5:4; Jer 9:15; Am 5:7.

Altaar. ’n Verhoogde oppervlak wat gemaak is van grond, klippe of ’n rots of van hout wat met metaal bedek is en waarop offerandes of reukwerk in aanbidding geoffer is. In die eerste vertrek van die tabernakel en die tempel was daar ’n klein “goue altaar” waarop reukwerk geoffer is. Dit was van hout gemaak wat met goud bedek is. ’n Groter koperaltaar vir brandoffers was buite in die voorhof (Eks 27:1; 39:38, 39; Ge 8:20; 1Kn 6:20; 2Kr 4:1; Lu 1:11). – Sien Aanh. B5 en B8.

Amen. “Laat dit so wees” of “beslis”. Die woord kom van die Hebreeuse grondwoord ‘*a-man*’, wat beteken “om getrou, betroubaar te wees”. Iemand het “amen” gesê as hy met ’n eed, ’n gebed of ’n stelling saamgestem het. In Openbaring word dit as ’n titel vir Jesus gebruik. – De 27:26; 1Kr 16:36; Op 3:14.

Antichris. Die Griekse woord het twee betekenisse. Dit verwys na dit wat *anti*, of *teen*, Christus is. Dit kan ook verwys na ’n valse Christus, een wat *in die plek van Christus* is. Alle mense, organisasies of groepe wat valslik beweer dat hulle Christus verteenwoordig, valslik beweer dat hulle die Messias is of wat Christus en sy dissipels teëstaan, kan tereg antichriste genoem word. – 1Jo 2:22.

Apostel. Die woord beteken basies “iemand wat uitgestuur is” en word gebruik vir Jesus en sekere persone wat gestuur is om ander te dien. Dit word meestal gebruik om te verwys na die dissipels wat Jesus self uitgekies het as ’n groep van 12 aangestelde verteenwoordigers. – Mr 3:14; Han 14:14.

Aram; Arameërs. Arameërs is afstammelinge van Sem se seun Aram. Die gebied waar hulle gewoon het, is in Hebreeus Aram genoem en het gestrek van die Libanonberge tot by Mesopotamië en van die Taurus-berge in die noorde tot verby Damaskus in die suide. Die gebied het later as Sirië bekend gestaan, en die inwoners is Siriërs genoem. – Ge 25:20; De 26:5; Ho 12:12.

Aramees. ’n Semitiese taal wat nou verwant is aan Hebreeus en wat dieselfde al-

fabet gebruik. Dit was oorspronklik deur die Arameërs gepraat maar het later die internasionale taal vir handel en kommunikasie in die Assiriese Ryk en Babiloniese Ryk geword. Dit was ook die amptelike administratiewe taal van die Persiese Ryk (Esr 4:7). Dele van die boeke Esra, Jeremia en Daniël is in Aramees geskryf. – Esr 4:8–6:18; 7:12–26; Jer 10:11; Da 2:4b–7:28.

Areopagus. ’n Hoë heuwel in Atene, noordwes van die Akropolis, en ook die naam van die raad (hof) wat daar vergader het. Paulus is deur Stoïsinse en Epikuriese filosowe soontoe geneem sodat hy kon verduidelik waarin hy glo. – Han 17:19.

Ark van die verbond. ’n Kis van akasiahout wat met goud oorgetrek is, wat in die Allerheiligste van die tabernakel en later in die Allerheiligste van Salomo se tempel gehou is. Dit het ’n deksel gehad wat van soliede goud gemaak is. Bo-op die deksel was twee gerubs met hulle koppe na mekaar toe. Die belangrikste items daarin was die twee klip-tablette van die Tien Gebooe (De 31:26; 1Kn 6:19; Heb 9:4). – Sien Aanh. B5 en B8.

Armageddon. Van die Hebreeuse *Har Meghid-dohn*, wat “berg van Megiddo” beteken. Die woord word gebruik in verband met “die oorlog van die groot dag van God die Almagtige” waarin “die konings van die hele aarde” bymekaarkom om teen Jehovah oorlog te voer (Op 16:14, 16; 19:11–21). – Sien GROOT VERDRUKKING.

Asasel. ’n Hebreeuse naam wat moontlik “bok wat verdwyn” beteken. Op die Versoendag is die bok wat vir Asasel was, in die wildernis ingestuur sodat dit in ’n simboliese sin die nasie se sondes van die afgelope jaar kon wegdra. – Le 16:8, 10.

Aselgeia. – Sien SKAAMTELOSE GEDRAG.

Asië. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys dit na die Romeinse provinsie wat die westelike deel van die hedendaagse Turke ingesluit het, sowel as party kus-eilande, soos Samos en Patmos. Die hoofstad was Efese (Han 20:16; Op 1:4). – Sien Aanh. B13.

Astoret. ’n Kanaänitiese godin van oorlog en vrugbaarheid, die vrou van Baäl. – 1Sa 7:3.

B

Baäl. ’n Kanaänitiese god wat beskou is as die eenaar van die lug en die een wat

reën en vrugbaarheid gee. “Baäl” is ook gebruik vir plaaslike, laer gode. Die Hebreeuse woord beteken “eienaar; meester”. – 1Kn 18:21; Ro 11:4.

Ballingskap. Iemand het in ballingskap gegaan wanneer hy uit sy geboorteland of tuisgebied verban is. Dit was dikwels as gevolg van die bevel van ’n veroweraar. Die Hebreeuse woord bevat die idee van “om te vertrek”. Die Israëliete het twee keer ’n groot ballingskap deurgemaak. Die noordelike tienstammeryk is deur die Assiriërs in ballingskap weggeneem, en later is die suidelike tweestammeryk deur die Babiloniërs in ballingskap weggeneem. Oorblyfsels van albei groepe het onder die Persiese heerser Kores na hulle land teruggekeer. – 2Kn 17:6; 24:16; Esr 6:21.

Bat. Volgens argeologiese ontdekkings van fragmente waarop hierdie woord geskryf is, was ’n bat ’n vloeistofmaat wat volgens skatting ongeveer 22 l was. Die meeste ander droëmate en vloeistofmate in die Bybel word uitgewerk op grond van die bat (1Kn 7:38; Ese 45:14). – Sien Aanh. B14.

Bedieningskneg. ’n Weergawe van die Griekse woord *di-a’ko-nos*, wat dikwels as “dienaar” of “kneg” vertaal word. ’n Bedieningskneg is ’n assistent van die liggaam van ouermanne in die gemeente. Hy moet aan Bybelstandaarde voldoen om vir hierdie diensvoorreg te kwalifiseer. – 1Ti 3:8-10, 12.

Beëlsebab. ’n Naam vir Satan, die prins, of leier, van die demone. Dit kom moontlik van die naam Baäl-Sebub, die Baäl wat deur die Filistyne in Ekron aanbid is. – 2Kn 1:3; Mt 12:24.

Berou. In die Bybel verwys dit na ’n verandering van denke wat gepaardgaan met opregte spyt oor ’n vorige lewenswyse, oor verkeerde dade of oor iets wat ’n mens moes doen maar nie gedoen het nie. Opregte berou bring vrugte voort, naamlik ’n verandering in gedrag. – Mt 3:8; Han 3:19; 2Pe 3:9.

Besnydenis. Die verwydering van die voorhuid van die manlike geslagsorgaan. Dit was verpligtend vir Abraham en sy nakomelinge, maar dit is nie ’n vereiste vir Christene nie. Dit word in sekere kontekste ook figuurlik gebruik. – Ge 17:10; 1Kor 7:19; Flp 3:3.

Beweegoffer. ’n Offer wat die priester heen en weer beweeg het nadat hy sy hande blykbaar onder die hande van die aanbieder gesit het wat die offer vasgehou het. Soms het net die priester ’n beweegoffer heen en weer beweeg. Wanneer die offer beweeg is, het dit voorgestel dat die offer vir Jehovah aangebied word. – Le 7:30.

Blok. ’n Instrument wat gebruik is om gevangenes te straf. Soms is net die voete daarin vasgemaak, en soms is die hande en die nek ook daarin vasgemaak sodat die liggaam in ’n ongemaklike posisie gehou is. – Jer 20:2; Han 16:24.

Blussers. Gereedskap van goud of koper wat in die tabernakel en tempel gebruik is. Dit was dalk soos skêre wat gebruik is om die lamppitte mee af te knip. – 2Kn 25:14.

Boekrol. ’n Lang stuk perkament of papyrus waarop daar aan die een kant geskryf is en wat gewoonlik om ’n stok opgerol is. In die tyd toe die Bybel geskryf is, is dit op boekrolle geskryf en oorgeskryf. – Jer 36:4, 18, 23; Lu 4:17-20; 2Ti 4:13.

Boom van die kennis van wat goed en wat sleg is. ’n Boom in die tuin van Eden wat God gebruik het as ’n simbool van sy reg om vir die mensdom te bepaal wat “goed” en wat “sleg” is. – Ge 2:9, 17.

Boom van die lewe. ’n Boom in die tuin van Eden. Die Bybel sê nie dat die vrugte van hierdie boom lewe kon gee nie. Die boom was eerder ’n simbool van God se waarborg om ewige lewe te gee aan dié wat hy sou toelaat om van die boom te eet. – Ge 2:9; 3:22.

Borsstuk. ’n Sak wat met kosbare stene versier is en wat die hoëpriester oor sy hart gedra het wanneer hy in die Heilige ingegaan het. Dit is “die borsstuk van oordeel” genoem omdat die Urim en Tummim daarin was, wat gebruik is om Jehovah se oordele aan te dui (Eks 28:15-30). – Sien Aanh. B5.

Bose, die. Dit is ’n benaming vir Satan die Duiwel, wat God en sy regverdige standaarde teëstaan. – Mt 6:13; 1Jo 5:19 (voetnote).

Brandoffer. ’n Diere-offer wat op die altaar verbrand is en in sy geheel aan God geoffer is. Die aanbieder kon geen deel van die dier (bul, skaapram, bokram, tortelduif of jong duif) vir homself hou nie. – Eks 29:18; Le 6:9.

Buit. Besittings, vee of ander waardevolle voorwerpe wat afgeneem is van 'n vyand wat verslaan is. – Jos 7:21; 2Kr 15:11; Jes 10:6.

Bul. Die naam van die agtste maand van die Joodse godsdienkskalender en die tweede maand van die sekulêre kalender. Die naam kom van 'n grondwoord wat "opbrengs" beteken. Dit het in die middel van Oktober begin en in die middel van November geëindig (1Kn 6:38). – Sien Aanh. B15.

Byvrou. 'n Sekondêre vrou wat dikwels 'n slaavin was. – Eks 21:8; 2Sa 5:13; 1Kn 11:3.

C

Christen. 'n Naam wat God aan die volgelinge van Jesus Christus gegee het. – Han 11:26; 26:28.

Christus. Die titel van Jesus, van die Griekse woord *Chri-stos*, gelykstaande aan die Hebreeuse woord wat as "Messias", of "Gesalfde", vertaal word. – Mt 1:16; Joh 1:41.

D

Dagon. 'n God van die Filistyne. Die oorsprong van die woord is onseker, maar party geleerdes assosieer dit met die Hebreeuse woord *dagh* (vis). – Rig 16:23; 1Sa 5:4.

Dagster. Het 'n soortgelyke betekenis as "môrester". Dit is die laaste ster wat op die oostelike horison opkom voordat die son verskyn. Hierdie ster was dus 'n teken van 'n nuwe dag. – Op 22:16; 2Pe 1:19.

Dankoffer. 'n Vrede-offer wat gegee is om God te loof vir sy voorsienings en lojale liefde. Die vleis van die geofferde dier is saam met gesuurde en ongesuurde brood geëet. Die vleis moes op daardie selfde dag geëet word. – 2Kr 29:31.

Dariëk. 'n Goue Persiese muntstuk wat 8,4 g geweeg het (1Kr 29:7). – Sien Aanh. B14.

Dekapolis. 'n Groep Griekse stede, wat oorspronklik uit tien stede bestaan het (van die Griekse woord *de'ka*, wat "tien" beteken, en *po'lis*, wat "stad" beteken). Dit was ook die naam van die gebied oos van die See van Galilea en die Jordaanrivier, waar die meeste van hierdie stede geleë was. Hierdie stede was sentrums van die Hellenistiese kultuur en handel. Jesus het deur hierdie gebied gereis, maar daar word nêrens gesê dat hy enigeen van hierdie stede besoek het nie (Mt 4:25; Mr 5:20). – Sien Aanh. A7 en B10.

Demone. Onsigbare, slegte geeskepele met bomenslike kragte. Hulle was nie sleg toe hulle geskep is nie, want hulle word in Genesis 6:2 "seuns van die ware God" genoem, en in Judas 6 "engele". Hulle is eerder engele wat hulleself vyande van God gemaak het toe hulle in Noag se dag ongehoorsaam was en by Satan aangesluit het in sy opstand teen Jehovah. – De 32:17; Lu 8:30; Han 16:16; Jak 2:19.

Denarius. 'n Romeinse silwermuntstuk wat omtrent 3,85 g geweeg het en 'n beeld van die keiser aan een kant gehad het. 'n Werker het 'n denarius per dag ontvang, en dit was die muntstuk waarmee die hoofbelasting betaal is wat die Romeine van die Jode vereis het (Mt 22:17; Lu 20:24). – Sien Aanh. B14.

Doop. Die werkwoord beteken "om te onderdompel" in water. Jesus het doop as 'n vereiste vir sy volgelinge gestel. Die Skrif verwys ook onder andere na die doop van Johannes, doop met heilige gees en doop met vuur. – Mt 3:11, 16; 28:19; Joh 3:23; 1Pe 3:21.

Dors; dorsvloer. Die proses waartydens graankorrels uit die graanare losgemaak word. Die dorsvloer is die plek waar hierdie werk gedoen is. Graan is met behulp van 'n stok met die hand gedors. Groter hoeveelhede graan is met behulp van spesiale toerusting gedors, soos 'n dorsslee of rollers. Diere het dit oor die graan getrek wat uitgesprei was oor die dorsvloer. 'n Dorsvloer was 'n ronde, plat oppervlak wat gewoonlik op 'n hoër geleë plek was wat aan die wind blootgestel is. – Le 26:5; Jes 41:15; Mt 3:12.

Dragma. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys hierdie woord na 'n Griekse silwermuntstuk, wat op daardie stadium 3,4 g geweeg het. In die Hebreeuse Geskrifte word daar verwys na 'n goue dragma uit die Persiese tydperk wat gelykgestel word aan die dariëk (Ne 7:70; Mt 17:24). – Sien Aanh. B14.

Drankoffer. 'n Offerande van wyn wat op die altaar uitgegooi is en saam met die meeste ander offerandes geoffer is. Paulus het dit figuurlik gebruik om te toon dat hy bereid was om soveel as moontlik van homself te gee vir sy mede-Christene. – Nu 15:5, 7; Flp 2:17.

Duiwel. Die beskrywende naam van Satan in die Christelike Griekse Geskrifte. Dit beteken "lasteraar". Satan is die naam Duiwel gegee omdat hy die vernaamste lasteraar en valse beskuldiger is van Jehovah, Sy goeie woord en Sy heilige naam. – Mt 4:1; Joh 8:44; Op 12:9.

E

Edom. 'n Ander naam wat gegee is aan Esau, die seun van Isak. Die nakomelinge van Esau (Edom) het die gebied Seïr in besit geneem, die bergstreek tussen die Dooie See en die Golf van Akaba. Dit het later as Edom bekend gestaan (Ge 25:30; 36:8). – Sien Aanh. B3 en B4.

Eed. 'n Beëdigde verklaring om te bevestig dat iets waar is of 'n plegtige belofte om iets te doen of nie te doen nie. Dit is dikwels 'n gelofte aan iemand wat 'n hoër posisie het, veral aan God. Jehovah het sy verbond met Abraham deur middel van 'n eed bevestig. – Ge 14:22; Heb 6:16, 17.

Eersgeborene. Hoofsaaklik die oudste seun van 'n pa (eerder as die eersgeborene van 'n ma). In Bybeltye het die eersgebore seun 'n geëerde posisie in die familie gehad en die gesinshoof geword wanneer die pa gesterf het. Dit verwys ook na die manlike eersgeborene van 'n dier, wat soms 'n "eersteling" genoem is. – Eks 11:5; 13:12, vtn.; Ge 25:33; Kol 1:15.

Eersteling. Die eerste vrugte van 'n oes; die eerste resultate of opbrengs van enigiets. Jehovah het vereis dat die nasie hulle eerstelinge aan hom offer, of dit nou van 'n mens, dier of plant was. As 'n nasie het die Israëliete tydens die Fees van die Ongeuurde Brode en Pinkster eerstelinge aan God geoffer. Die term "eersteling" is ook figuurlik gebruik vir Christus en sy gesalfde volgelinge. – 1Kor 15:23; Nu 15:21; Spr 3:9; Op 14:4 (voetnote).

Efa. 'n Droëmaat sowel as die houer self, wat gebruik is om graan mee uit te meet. 'n Efa was gelyk aan 'n bat, 'n vloeistofmaat, oftewel 22 l (Eks 16:36; Ese 45:10). – Sien Aanh. B14.

Efod. 'n Priesterlike kledingstuk wat soos 'n voorskoot gelyk het. Die hoëpriester het 'n spesiale efod gedra met 'n borsstuk aan die voorkant waarop daar 12 edelstene was (Eks 28:4, 6). – Sien Aanh. B5.

Efraim. Die naam van Josef se tweede seun en later die naam van een van die stamme van Israel. Nadat Israel verdeel is, het Efraim as die vernaamste stam die hele tienstammeryk verteenwoordig. – Ge 41:52; Jer 7:15.

Egbreuk. Vrywillige seksuele omgang deur 'n getroude man of vrou met iemand anders as sy of haar huweliksmaat. – Eks 20:14; Mt 5:27; 19:9.

El. 'n Lengtemaat, ongeveer die afstand van die elmboog tot by die punt van die middelvinger. Die Israëliete het gewoonlik 'n el van omtrent 44,5 cm gebruik, maar hulle het ook 'n el gebruik wat 'n handbreedte langer was, omtrent 51,8 cm (Ge 6:15; Lu 12:25). – Sien Aanh. B14.

Elul. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die 6de maand van die Joodse godsdienskalender en die 12de maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Augustus begin en in die middel van September geëindig (Ne 6:15). – Sien Aanh. B15.

Engele. Van die Hebreeuse woord *mal'ach'* en die Griekse woord *ag'ge-los*. Albei woorde beteken letterlik "boodskapper" maar word as "engel" vertaal wanneer dit na geesboodskappers verwys (Ge 16:7; 32:3; Jak 2:25; Op 22:8). Engle is magtige geeskepele wat lank voor die mensdom deur God geskep is. In die Bybel word daar ook na hulle verwys as "tienduisende heiliges", "seuns van die ware God" en "môresterre" (De 33:2; Job 1:6; 38:7). Hulle is nie gemaak met die vermoë om voort te plant nie, maar is afsonderlik geskep. Daar is baie meer as 'n honderdmiljoen van hulle (Da 7:10). Die Bybel toon dat hulle name en individuele persoonlikhede het, en tog weier hulle nederig om aanbid te word, en die meeste het nooit gesê wat hulle name is nie (Ge 32:29; Lu 1:26; Op 22:8, 9). Hulle het verskillende range en toegewese rolle, onder andere om voor Jehovah se troon te dien, sy boodskappe oor te dra, Jehovah se knegte op die aarde te help, God se oordele uit te voer en die verkondiging van die goeie nuus te ondersteun (2Kn 19:35; Ps 34:7; Lu 1:30, 31; Op 5:11; 14:6). In die toekoms sal hulle saam met Jesus deelneem aan die oorlog van Armageddon. – Op 19:14, 15.

Epikuriese filosowe. Volgelingen van die Griekse filosoof Epikurus (341-270 V.H.J.). Hulle filosofie het gedraai om die idee dat die plesier van die individu die hoofdoel in die lewe was. – Han 17:18.

Etanim. Die naam van die sewende maand van die Joodse godsdienskalender en die eerste maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van September begin en in die middel van Oktober geëindig. Nadat die Jode uit Babilon teruggekeer het, is dit Tisjri genoem (1Kn 8:2). – Sien Aanh. B15.

Etiopië. In die ou tyd was dit 'n nasie suid van Egipte. Dit het die suidelikste deel van die hedendaagse Egipte ingesluit en die hedendaagse Soedan. Die uitdrukking is soms gebruik vir die Hebreeuse "Kus". – Est 1:1.

Eufraatrivier. Die langste en belangrikste rivier van suidwes-Asië, en een van die twee groot riviere in Mesopotamië. Dit word vir die eerste keer in Genesis 2:14 genoem as een van die vier riviere van Eden. Dit word dikwels "die Rivier" genoem (Ge 31:21). Dit was die noordelike grens van Israel se toegewese gebied (Ge 15:18; Op 16:12). – Sien Aanh. B2.

Eunug. In 'n letterlike sin verwys dit na 'n man wat gekastreer is. Sulke mans is dikwels in 'n koninklike hof aangestel as dienaars of versorgers van die koningin en die byvrouens. Die term verwys ook na 'n man wat nie 'n letterlike eunug was nie, maar 'n amptenaar wat na pligte in die koning se hof omsien het. Dit word figuurlik gebruik vir 'n 'eunug vir die Koninkryk', iemand wat selfbeheersing beoefen om meer in God se diens te kan doen. – Mt 19:12; Est 2:15; Han 8:27.

F

Farao. 'n Titel vir die konings van Egipte. Vyf farao's word in die Bybel genoem (Sisak, So, Tirhaka, Nego en Hofra), maar die name van ander farao's, soos die farao's met wie Abraham, Moses en Josef te doen gehad het, word nie genoem nie. – Eks 15:4; Ro 9:17.

Fariseërs. 'n Belangrike sekte van Judaïsme in die eerste eeu H.J. Hulle was nie van priesterlike afkoms nie, maar hulle het die Wet streng en tot in die fynste besonderhede gehou. Hulle het net soveel waarde geheg aan mondelinge tradisies as aan die

Wet (Mt 23:23). Hulle het die invloed van die Griekse kultuur teëgestaan, en omdat hulle kenners van die Wet en die tradisies was, het hulle baie gesag gehad (Mt 23:2-6). Party was ook lede van die Sanhedrin. Hulle het dikwels met Jesus gestry oor die onderhouding van die Sabbat, oor tradisies en oor assosiasie met sondaars en belastingaarders. Party van hulle, soos Saulus van Tarsus, het Christene geword. – Mt 9:11; 12:14; Mr 7:5; Lu 6:2; Han 26:5.

Fees van die Ongesuurde Brode. Die eerste fees van die drie groot jaarlikse feeste van die Israeliete. Dit het op 15 Nisan begin, die dag ná die Pasga, en was sewe dae lank. Slegs ongesuurde brood kon geëet word, ter herdenking van die uittoeg uit Egipte. – Eks 23:15; Mr 14:1.

Fees van die Oes; Fees van die Weke. – Sien PINKSTER.

Filistea; Filistyne. Filistea was die land aan die suidelike kus van Israel. Die immigrante van Kreta wat daar gaan woon het, is Filistyne genoem. Dawid het hulle onderwerp, maar hulle het onafhanklik gebly en was altyd vyande van Israel (Eks 13:17; 1Sa 17:4; Am 9:7). – Sien Aanh. B4.

Folterpaal. Die vertaling vir die Griekse woord *stau-ros*, wat na 'n regop paal verwys, soos die een waarop Jesus tereggestel is. Daar is geen bewyse dat die Griekse woord na 'n kruis verwys het nie, 'n godsdienssimbool wat al eeuwe voor Christus deur die heidene gebruik is. "Folterpaal" dra die volle betekenis van die oorspronklike woord oor, aangesien die woord *stau-ros* ook gebruik is om te verwys na die foltering, of marteling, lyding en skande wat Jesus se volgelinge sou verduur (Mt 16:24; Heb 12:2). – Sien PAAL.

Fortuinverteller. Iemand wat beweer dat hulle die toekoms kan voorspel. Towerpriesters, waarsêers en sterrevoorspellers is party fortuinvertellers wat in die Bybel genoem word. – Le 19:31; De 18:11; Han 16:16.

G

Galdea; Galdeërs. Oorspronklik was die Galdeërs die inwoners van die deltagebied van die Tigris- en die Eufraatrivier, wat Galdea genoem is. Later is hierdie uitdrukking toegepas op die hele Babilonië en sy inwoners. "Galdeërs" het ook verwys na 'n opgevoede klas mense wat die wetenskap,

geskiedenis en sterrekunde bestudeer het maar wat ook toorkuns en astrologie beoefen het. – Esr 5:12; Da 4:7; Han 7:4.

Gedenkgraf. 'n Graf waar die oorskot van 'n oorlede persoon geplaas is. Hierdie woord is 'n vertaling van die Griekse woord *mne-meí'on*, wat afgelei is van die werkwoord "om te herinner", wat daarop dui dat die persoon wat gesterf het, onthou word. – Joh 5:28, 29.

Gees. Die Hebreeuse woord *ru'ach* en die Griekse woord *pneú'ma*, wat dikwels as "gees" vertaal word, het 'n hele paar betekenisse. Dit verwys altyd na iets wat vir mense onsigbaar is en wat bewys lewer van krag wat in beweging is. Die Hebreeuse en Griekse woorde verwys na (1) wind, (2) die werkende lewenskrag in aardse skepsele, (3) die dryfkrag wat uit 'n persoon se figuurlike hart kom en wat hom dinge op 'n sekere manier laat sê en doen, (4) geïnspireerde uitinge wat van 'n onsigbare bron kom, (5) geespersone en (6) God se werkende krag, of heilige gees. – Eks 35:21; Ps 104:29; Mt 12:43; Lu 11:13.

Gehenna. Die Griekse naam vir die Hinnomvallei, suid en suidwes van die ou Jerusalem (Jer 7:31). Daar word profeties van hierdie vallei gepraat as 'n plek vol lyke (Jer 7:32; 19:6). Daar is geen bewys dat diere of mense in Gehenna gegooi is om lewend verbrand of gepynig te word nie. Dit was dus nie 'n simbool van 'n onsigbare plek waar siele van mense vir ewig in 'n letterlike vuur gepynig word nie. Gehenna is eerder deur Jesus en sy dissipels gebruik as 'n simbool vir die ewige straf van die "tweede dood", dit wil sê ewige vernietiging. – Op 20:14; Mt 5:22; 10:28.

Gelofte. 'n Belofte wat aan God gemaak word om iets te doen, te gee of te offer, 'n vorm van diens te betree of om sekere dinge nie te doen nie, al was dit toelaatbaar onder die Wet. 'n Gelofte was net so bindend soos 'n eed. – Nu 6:2; Pr 5:4; Mt 5:33.

Gelofte-offer. 'n Vrywillige offer wat met sekere geloftes gepaardgegaan het. – Le 23:38; 1Sa 1:21.

Gemeenskapsoffer. – Sien VREDE-OFFER.

Gemeente. 'n Groep mense wat vir 'n spesifieke doel of bedrywigheid bymekaargekom het. In die Hebreeuse Geskrifte verwys dit gewoonlik na die nasie Israel. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys dit na in-

dividuele gemeentes van Christene, maar dit verwys meestal na die Christengemeente oor die algemeen. – 1Kn 8:22; Han 9:31; Ro 16:5.

Genadegawes. Geskenke wat gegee is om die armes te help. Dit word nie direk in die Hebreeuse Geskrifte genoem nie, maar die Wet het die Israelietse spesifieke riglyne gegee oor hulle verpligtinge teenoor die armes. – Mt 6:2, vtn.

Gera. 'n Gewig gelyk aan 0,57 g. Dit was ook gelyk aan 1/20 van 'n sikkel (Le 27:25). – Sien Aanh. B14.

Gerubs. Engele met 'n hoë rang en spesiale pligte. Hulle is anders as serafs. – Ge 3:24; Eks 25:20; Jes 37:16; Heb 9:5.

Gésel. 'n Soort sweep wat bestaan het uit riempies of toue met knope in of waaraan stukkie yster of been vasgemaak was. – Joh 19:1.

Getuienis. "Die Getuienis" verwys gewoonlik na die Tien Gebooie wat op die twee kliptablette geskryf is wat Moses ontvang het. – Eks 31:18.

Gilead. Streng gesproke die vrugbare gebied oos van die Jordaanrivier wat noord en suid van die Jabbok-vallei strek. Soms gebruik vir Israel se hele gebied oos van die Jordaanrivier, waar die stamme van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse gewoon het (Nu 32:1; Jos 12:2; 2Kn 10:33). – Sien Aanh. B4.

Gittit. 'n Musiekterm waarvan die betekenis onseker is maar wat waarskynlik van die Hebreeuse woord *gath* afgelei is. Party dink dat Gittit 'n melodie is van liedere wat verband hou met wynmaking, aangesien *gath* na 'n wynters verwys. – Ps 81:Ops.

God se Koninkryk. Die frase word veral gebruik vir God se soewereiniteit wat deur die koninklike regering van sy Seun, Christus Jesus, verteenwoordig word. – Mt 12:28; Lu 4:43; 1Kor 15:50.

Goeie nuus, die. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys dit na die goeie nuus van die Koninkryk van God en van redding deur geloof in Jesus Christus. – Lu 4:18, 43; Han 5:42; Op 14:6.

Gomer. 'n Droëmaat wat gelyk is aan 2,2 l. Dit was 'n tiende van 'n efa (Eks 16:16, 18). – Sien Aanh. B14.

Gordyn. Die pragtig gewefde stuk materiaal waarop gerubs geborduur was en wat die

Heilige geskei het van die Allerheiligste in die tabernakel en in die tempel (Eks 26:31; 2Kr 3:14; Mt 27:51; Heb 9:3). – Sien Aanh. B5.

Graf. Met 'n kleinletter verwys dit na 'n individuele graf en met 'n hoofletter verwys dit na die gemeenskaplike graf van die mensdom (die Hebreeuse "Sjeool" en die Griekse "Hades"). Dit word in die Bybel beskryf as 'n simboliese plek of toestand waar daar geen bedrywigheid en bewustheid is nie. – Ge 47:30; Pr 9:10; Han 2:31.

Granaat. 'n Ronde vrug met 'n harde skil en 'n kroon aan die een kant. Binne-in is daar klein selletjies vol sap wat elk 'n klein pienk of rooi pitjie bevat. Granaatvormige ornamente het die soom van die hoëpriester se blou moulose oorkleed versier, sowel as die kopstukke van die pilare Jagin en Boas, wat voor die tempel was. – Eks 28:34; Nu 13:23; 1Kn 7:18.

Griek. 'n Inwoner van Griekeland of iemand wie se familie daarvandaan kom. In die Christelike Griekse Geskrifte word die woord ook gebruik vir alle nie-Jode of vir dié wat deur die Griekse taal en kultuur beïnvloed is. – Jl 3:6; Joh 12:20.

Groot verdrukking. Die Griekse woord vir "verdrukking" bevat die idee van angs of lyding as gevolg van die druk van omstandighede. Jesus het gepraat van 'n "groot verdrukking" soos daar nog nooit voorheen was nie wat oor Jerusalem sou kom en van een wat later oor die mensdom sou kom en wat verband sou hou met sy glorieryke koms (Mt 24:21, 29-31). Paulus het hierdie verdrukking beskryf as 'n regverdige daad van God teen "dié wat God nie ken nie en dié wat nie die goeie nuus oor ons Here Jesus gehoorsaam nie". Openbaring hoofstuk 19 beeld Jesus uit as die leier van die hemelse leërmagte wat teen "die wilde dier en die konings van die aarde en hulle leërmagte" sal veg (2Te 1:6-8; Op 19:11-21). Volgens Openbaring is daar "'n groot menigte" wat hierdie verdrukking oorleef (Op 7:9, 14). – Sien ARMAGEDDON.

H

Hades. 'n Griekse woord wat ooreenkom met die Hebreeuse woord "Sjeool". Dit word vertaal as "Graf" (met 'n hoofletter) om aan te dui dat dit die gemeenskaplike graf van die mensdom is. – Sien GRAF.

Hande opelê. 'n Persoon is die hande opgelê om hom vir 'n spesiale werk aan te stel of om hom aan te wys vir 'n seën, 'n genesing of 'n gawe van die heilige gees. Soms het mense hulle hande op diere gesit voordat die diere geoffer is. – Eks 29:15; Nu 27:18; Han 19:6; 1Ti 5:22.

Hebreër. 'n Benaming wat aanvanklik gebruik is vir Abram (Abraham), om hom van sy Amoritiese bure te onderskei. Daarna is dit gebruik om te verwys na Abraham se nakomelinge deur sy kleinseun Jakob. – Ge 14:13; Eks 5:3.

Hebreeus. Die taal van die Hebreërs. Christus en sy dissipels het ook Hebreeus gepraat, maar in hulle tyd het Hebreeus al baie Aramese uitdrukkings bevat. – Han 26:14.

Heilig; heiligheid. 'n Eienskap wat deel van Jehovah se natuur is; 'n toestand van absolute sedelike suiwerheid (Eks 28:36; 1Sa 2:2; Spr 9:10; Jes 6:3). Wanneer die oorspronklike Hebreeuse woord gebruik word in verband met mense (Eks 19:6; 2Kn 4:9), diere (Nu 18:17), dinge (Eks 28:38; 30:25; Le 27:14), plekke (Eks 3:5; Jes 27:13), tydperke (Eks 16:23; Le 25:12) en bedrywighede (Eks 36:4), dra dit die gedagte oor van afgesonderdheid, eksklusiwiteit of geheiligdheid voor die ware God; om aan Jehovah se diens gewy te wees. In die Christelike Griekse Geskrifte verwys die woorde wat as "heilig" en "heiligheid" vertaal word, ook na afgesonderdheid vir God. Die woorde word ook gebruik om te verwys na die suiwerheid van iemand se gedrag. – Mr 6:20; 2Kor 7:1; 1Pe 1:15, 16.

Heiligdom. Oor die algemeen was dit 'n plek wat vir aanbidding afgesonderd is, 'n heilige plek. Maar dit verwys meestal na die tabernakel of na die tempel in Jerusalem. Die term word ook gebruik vir God se woonplek in die hemel. – Eks 25:8, 9; 2Kn 10:25; 1Kr 28:10; Op 11:19.

Heilige, die. Die eerste en grootste vertrek van die tabernakel of van die tempel. Die tweede en binneste vertrek was die Allerheiligste. In die tabernakel het die Heilige die volgende items bevat: die goue lampstaander, die goue reukwerkaltaar, die tafel vir die offerbrode en die goue voorwerpe. In die tempel het dit die volgende bevat: die goue altaar, tien goue lampstanders

en tien tafels vir die offerbrode (Eks 26:33; Heb 9:2). – Sien Aanb. B5 en B8.

Heilige diens. Diens of werk wat heilig is omdat dit direk verband hou met 'n mens se aanbidding van God. – Ro 12:1; Op 7:15.

Heilige gees. God se onsigbare, aandrywende krag wat hy in werking stel om sy wil uit te voer. Dit is heilig omdat dit van Jehovah kom, wat in die hoogste graad rein en regverdig is, en omdat God dit gebruik om uit te voer wat heilig is. – Lu 1:35; Han 1:8.

Heilige geheim. 'n Aspek van God se voorname wat by God ontstaan en wat geheim gehou word totdat God dit op sy vasgestelde tyd openbaar aan dié aan wie hy dit wil openbaar. – Mr 4:11; Kol 1:26.

Heilige paal. Die Hebreeuse woord (*'asje-ra'*) verwys na (1) 'n heilige paal wat Asjera, 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgodin, verteenwoordig het of na (2) 'n beeld van die godin Asjera. Die pale het blykbaar regop gestaan en was, ten minste gedeeltelik, van hout gemaak. Dit was moontlik onbewerkte pale of selfs boeme. – De 16:21; Rig 6:26; 1Kn 15:13.

Heilige pilaar. Dit was gewoonlik van klip gemaak en was blykbaar 'n falliese simbool van Baäl of ander valse gode. – Eks 23:24.

Heilige toewydingsteken. 'n Blink plaat van suiwer goud waarop daar in Hebreeus gegraveer is: "Heiligheid behoort aan Jehovah." Dit was aan die voorkant van die hoëpriester se tulband gesit (Eks 39:30). – Sien Aanb. B5.

Here se Aandmaal. 'n Letterlike maaltyd van ongesuurde brood en wyn as simbole van Christus se liggaam en bloed; 'n herdenking van Jesus se dood. Volgens die Bybel moet Christene dit herdenk, en daarom word dit ook die Gedenkmaal genoem. – 1Kor 11:20, 23-26.

Hermes. 'n Griekse god, seun van Zeus. In Litra is Paulus verkeerdelik Hermes genoem omdat hierdie god beskou is as 'n boodskapper van die gode en as die god van die spreekkuns. – Han 14:12.

Herodes. Die familienaam van 'n dinastie wat deur Rome aangestel is om oor die Jode te regeer. Herodes die Grote was bekend vir sy herbouing van die tempel in Jerusalem en die kindermoord in 'n poging om Jesus dood te maak (Mt 2:16; Lu 1:5). Herodes Argelaus en Herodes Antipas, seuns

van Herodes die Grote, is oor dele van hulle pa se gebied aangestel (Mt 2:22). Antipas was 'n tetrarg, 'n heerser wat oor 'n vierde deel van 'n gebied regeer het, en die volk het hom "koning" genoem. Hy het regeer gedurende Christus se bediening van drie en 'n half jaar sowel as gedurende die tydperk wat beskryf word in Handeling 1-11 (Mr 6:14-17; Lu 3:1, 19, 20; 13:31, 32; 23:6-15; Han 4:27; 13:1). Daarna het Herodes Agrippa I, kleinseun van Herodes die Grote, 'n kort tydjie regeer voordat hy deur God se engel doodgemaak is (Han 12:1-6, 18-23). Sy seun, Herodes Agrippa II, het daarna regeer tot die tyd dat die Jode teen Rome in opstand gekom het. – Han 23:35; 25:13, 22-27; 26:1, 2, 19-32.

Herodes se ondersteuners. Ook Herodiane genoem. Hulle was 'n party van nasionaliste wat die politieke belange van die Herodes-dinastie onder die Romeine ondersteun het. Sommige Sadduseërs het waarskynlik aan hierdie party behoort. Die Herodiane het met die Fariseërs saamgespan en Jesus teëgestaan. – Mr 3:6.

Higgajon. 'n Tegnieuse musiekterm. In Psalm 9:16 verwys die woord dalk na 'n plegtige tussenspel op die harp in lae tone of 'n plegtige pouse vir bepeinsing.

Hin. 'n Vloeistofmaat sowel as die houër wat vir daardie maat gebruik is. Dit is gelyk aan 3,67 l, gebaseer op 'n stelling van die geskiedskrywer Josefus dat 'n hin gelyk is aan twee Atense choëns (Eks 29:40). – Sien Aanb. B14.

Hisop. 'n Plant met dun stingels en blare, wat gebruik is vir die sprinkeling van bloed of water gedurende reinigingseremonies. Dit was moontlik marjolein, of marjoram (*Origanum maru*; *Origanum syriacum*). Die hisop waarvan Johannes 19:29 praat, was dalk marjolein wat vasgemaak is aan 'n stingel of doerra, 'n soort algemene sorghum (*Sorghum vulgare*), aangesien 'n stingel van hierdie plant lank genoeg kon gewees het om die spons met suur wyn tot by Jesus se mond te bring. – Eks 12:22; Ps 51:7.

Hoeksteen. 'n Steen op die hoek van 'n gebou wat twee mure verbind en stewig gemaak het. Die belangrikste hoeksteen was die hoeksteen van die fondament; oor die algemeen is 'n baie sterk steen gekies vir

openbare geboue en stadsmure. Die woord word in 'n figuurlike sin gebruik in verband met die skepping van die aarde, en daar word van Jesus gepraat as "die belangrikste hoeksteen" van die Christengemeente, wat met 'n geestelike huis vergelyk word. – Ef 2:20; Job 38:6.

Hoëpriester. Onder die Wet van Moses was dit die vernaamste priester wat die volk voor God verteenwoordig het en oor die ander priesters toesig gehou het. Ook "die hoofpriester" genoem (2Kr 26:20; Esr 7:5). Slegs die hoëpriester is toegelaat om in die Allerheiligste in te gaan, wat die binneste vertrek van die tabernakel was, en later van die tempel. Hy het dit slegs op die jaarlikse Versoendag gedoen. Die term "hoëpriester" word ook op Jesus Christus toegepas. – Le 16:2, 17; 21:10; Mt 26:3; Heb 4:14.

Hoer. – Sien PROSTITUUT.

Hoerery. – Sien SEKSUELE ONSEDELIKHEID.

Homer. 'n Droëmaat wat ooreenkom met die kor. Dit was gelyk aan 220 l, gebaseer op die geskatte inhoud van die bat (Le 27:16). – Sien Aanb. B14.

Hoofbewerker. Die Griekse term beteken basies "Hoofleier". Dit verwys na die noodsaaklike rol wat Jesus Christus speel om getroue mense van die dodelike gevolge van sonde te bevry en hulle na die ewige lewe te lei. – Han 3:15; 5:31; Heb 2:10; 12:2.

Hoofpriester. 'n Ander benaming vir "hoëpriester" in die Hebreeuse Geskrifte. In die Christelike Griekse Geskrifte het die uitdrukking "hoofpriesters" blykbaar verwys na die belangrikste manne van die priesterdom, wat moontlik voormalige hoofpriesters ingesluit het wat uit hulle amp verwyder is, sowel as die hoofde van die 24 priesterlike afdelings. – 2Kr 26:20; Esr 7:5; Mt 2:4; Mr 8:31.

Horeb; berg Horeb. Die bergstreek om die berg Sinai. 'n Ander naam vir die berg Sinai (Eks 3:1; De 5:2). – Sien Aanb. B3.

Horing. Dierehorings wat gebruik is as houers vir drank, olie, ink en kosmetiese middels, en ook as instrumente om musiek te maak of 'n sein te gee (1Sa 16:1, 13; 1Kn 1:39; Ese 9:2). "Horing" word dikwels figuurlik gebruik vir krag, verowering en oorwinning. – De 33:17; Mi 4:13; Sag 1:19.

Horings van die altaar. Horingvormige uitsteekels aan die vier hoeke van sekere al-

tare (Le 8:15; 1Kn 2:28). – Sien Aanb. B5 en B8.

Huttefees. Ook die Loofhuttefees en die Fees van die Insameling genoem. Dit is op 15-21 Etanim gehou. Gedurende hierdie fees het Israel die oes aan die einde van hulle landboujaar gevier, en dit was 'n tyd om bly te wees en Jehovah te dank vir sy seën op hulle opbrengs. Gedurende die dae van die fees het mense in hutte, of tydelike skuilings, gebly om hulle te herinner aan die uittoeg uit Egipte. Dit was een van die drie feeste wat mans moes gaan vier in Jerusalem. – Le 23:34; Esr 3:4.

I

Illirikum. 'n Romeinse provinsie noordwes van Griekeland. Paulus het in sy bediening tot in Illirikum gereis, maar daar word nie gesê of hy in die provinsie of net tot by die grens daarvan gepreek het nie (Ro 15:19). – Sien Aanb. B13.

Integriteit. Verwys na sedelike suiwerheid, volkomenheid of onberispelikeid. Dit beskryf 'n persoon met 'n volkome of onverdeelde hart wat ten volle toegewyd is aan wat reg is. Die manier waarop dit in die Bybel gebruik word, asook voorbeelde in die Bybel, beklemtoon dat rotsvaste toegewytheid aan 'n persoon, naamlik Jehovah God, en aan sy geopenbaarde wil en voorneme van die allergrootste belang is. – Jos 24:14; Job 27:5; Ps 26:1.

Israel. Die naam wat God aan Jakob gegee het. Dit het uiteindelik verwys na al sy nakomelinge op enige gegewe tyd. Die nakomelinge van Jakob se 12 seuns is dikwels die seuns van Israel, die huis van Israel, die volk Israel, die manne van Israel of die Israëliete genoem. Israel is ook gebruik as die naam van die noordelike tienstammeryk wat van die suidelike koninkryk weggebreek het, en later as 'n term vir gesalfde Christene, "die Israel van God". – Ga 6:16; Ge 32:28; 2Sa 7:23; Ro 9:6.

J

Jakob. 'n Seun van Isak en Rebekka. God het hom later die naam Israel gegee, en hy het die aartsvader van die volk Israel geword (wat ook Israëliete en later Jode genoem is). Hy was die pa van die 12 seuns wat saam met hulle nakomelinge die 12 stamme van die nasie Israel geword het. Die

naam Jakob is ook gebruik vir die volk Israel. – Ge 32:28; Mt 22:32.

Jedutun. 'n Term waarvan die betekenis onseker is en wat in die opskrifte van Psalm 39, 62 en 77 verskyn. Dit wil voorkom asof hierdie opskrifte instruksies is oor hoe om die psalm op te voer en dat dit dalk 'n seker soort styl of musiekinstrument identifiseer. Daar was 'n Levitiese musikant met die naam Jedutun, en daarom is die styl of instrument moontlik met hom of sy seuns geassosieer.

Jehovah. Die Afrikaanse weergawe van die Tetragrammaton (die vier Hebreeuse letters vir die persoonlike naam van God) wat meer as 7 000 keer in hierdie vertaling voorkom. – Sien Aanh. A4 en A5.

Jood. 'n Term wat ná die val van die tienstammeryk van Israel gebruik is om na 'n lid van die stam van Juda te verwys (2Kn 16:6). Ná die Babiloniese ballingskap het dit verwys na Israëliete uit verskeie stamme wat na Israel teruggekeer het (Esr 4:12). Later is dit in die hele wêreld gebruik om Israëliete van ander volke te onderskei (Est 3:6). Die apostel Paulus het ook die term figuurlik gebruik toe hy geredeneer het dat nasionaliteit niks in die Christengemeente beteken nie. – Ro 2:28, 29; Ga 3:28.

Jubeljaar. Elke 50ste jaar, bereken vanaf die jaar dat Israel in die Beloofde Land ingegaan het. Gedurende die Jubeljaar moes die land onbewerk lê en moes Hebreeuse slawe vrygelaat word. Erfdele wat verkoop is, is teruggegee. Die Jubeljaar was in 'n sekere sin 'n feesjaar, 'n jaar van vrylating waarin die nasie herstel is tot die toestand waarin dit was toe God dit aanvanklik gevorm het. – Le 25:10.

Juda. Jakob se vierde seun by sy vrou Lea. In sy sterfbedprofesie het Jakob voorspel dat 'n magtige en permanente leier uit Juda se familie sou kom. As 'n mens het Jesus van Juda afgestam. Die naam Juda verwys ook na die stam en later na die koninkryk wat daarna vernoem is. Juda, wat ook die suidelike koninkryk genoem word, het bestaan uit die Israelitiese stamme van Juda en Benjamin en het die priesters en Leviete ingesluit. Juda het in die suidelike deel van die land gewoon, waar Jerusalem en die tempel was. – Ge 29:35; 49:10; 1Kn 4:20; Heb 7:14.

Juk. 'n Staaf wat 'n persoon op sy skouers gedra het met 'n vrag aan elke ent, of 'n houtstaaf of houtraam wat op die nekke van twee trekkiers (gewoonlik beeste) geplaas is wanneer hulle 'n plaasimplement of 'n wa getrek het. Omdat 'n slaaf dikwels 'n juk gebruik het om swaar vragte te dra, was die juk 'n simbool van slawerny, onderworpenheid, onderdrukking en lyding. Die verwydering of verbrekking van die juk het gedui op bevryding van slawerny, onderdrukking en uitbuiting. – Le 26:13; Mt 11:29, 30.

K

Kab. 'n Droëmaat van 1,22 l, gebaseer op die geskatte inhoud van die bat (2Kn 6:25). – Sien Aanh. B14.

Kaf. Die omhulsels wat van die eetbare deel van graan geskei word wanneer graan gedors en gewan word. In beeldspraak is kaf gebruik as 'n simbool van iets wat waardeeloos en ongewens is. – Ps 1:4; Mt 3:12.

Kamos. Die hoofgod van die Moabiete. – 1Kn 11:33.

Kanaän. 'n Kleinseun van Noag, die vierde seun van Gam. Die 11 stamme wat van Kanaän afgestam het, het uiteindelik in die streek langs die oostelike deel van die Middellandse See tussen Egipte en Sirië gewoon. Die gebied is "die land Kanaän" genoem (Le 18:3; Ge 9:18; Han 13:19). – Sien Aanh. B4.

Kassia. 'n Produk van die kaneelkassieboom (*Cinnamomum cassia*), wat van dieselfde familie as die kaneelboom is. Kassia is gebruik as 'n parfuim en as 'n bestanddeel van die heilige salfolie. – Eks 30:24; Ps 45:8; Ese 27:19.

Kislef. Nadat die Jode uit Babilon teruggekeer het, was dit die naam van die negende maand van die Joodse godsdienskalender en die derde maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van November begin en in die middel van Desember geëindig (Ne 1:1; Sag 7:1). – Sien Aanh. B15.

Koningin van die Hemel. Die titel van 'n godin wat in die tyd van Jeremia deur afvallige Israëliete aanbid is. Party dink dat dit na die Babiloniese godin Ishtar (Astarte) verwys. Hierdie godin is vroeër ook deur die Sumeriërs aanbid en het bekend gestaan as Inanna, wat "Koningin van die Hemel" beteken. Sy is nie net met die hemel verbind nie, maar was ook 'n vrugbaarheidsgodin. In 'n

Egiptiese inskripsie word Astarte ook "Vrou van die Hemel" genoem. – Jer 44:19.

Kopis. Iemand wat geskrewe afskrifte van die Hebreeuse Geskrifte gemaak het. – Esr 7:6.

Kopstuk. Die boonste gedeelte van 'n pilaar, wat as 'n versiersel gedien het. Daar was massiewe kopstukke bo-op die twee pilare Jagin en Boas, wat voor Salomo se tempel gestaan het (1Kn 7:16). – Sien Aanh. B8.

Kor. 'n Droëmaat sowel as 'n vloestofmaat. Dit was gelyk aan 220 l, gebaseer op die geskatte inhoud van die bat (1Kn 5:11). – Sien Aanh. B14.

Koraal. 'n Harde, klipagtige stof wat uit die karkasse van seediertjies bestaan. Dit word in die oseaan gevind in verskillende kleure, insluitende rooi, wit en swart. Koraal het veral in die Rooisee voorgekom. In Bybeltye was rooi koraal baie waardevol, en krale en ander ornamente is daarvan gemaak. – Spr 8:11.

L

Laaste dae. Hierdie en soortgelyke uitdrukkings, soos "die einde van die dae", word in Bybelprofesieë gebruik vir 'n tyd wanneer historiese gebeurtenisse 'n finale klimaks sal bereik (Ese 38:16; Da 10:14; Han 2:17). Afhangende van die profesie kan dit 'n tydperk van net 'n paar jaar of van baie jare wees. Die Bybel gebruik hierdie term veral om te verwys na "die laaste dae" van die huidige stelsel van dinge, gedurende Jesus se onsigbare teenwoordigheid. – 2Ti 3:1; Jak 5:3; 2Pe 3:3.

Lepton. In die tyd van die Christelike Griekse Geskrifte was dit die kleinste Joodse muntstuk van koper of brons (Mr 12:42; Lu 21:2; voetnote). – Sien Aanh. B14.

Levi; Leviet. Jakob se derde seun by sy vrou Lea; ook die stam wat na Levi vernoem is. Die nakomelinge van sy drie seuns het die drie hoofafdelings van die Leviete gevorm. Soms word die woord "Leviete" op die hele stam toegepas, maar gewoonlik sluit dit nie die priesterlike familie van Aäron in nie. Die stam van Levi het nie 'n toegewese deel in die Beloofde Land ontvang nie, maar het 48 stede ontvang binne die grense van die land wat aan die ander stamme toegewys is. – De 10:8; 1Kr 6:1; Heb 7:11.

Leviatan. 'n Dier wat gewoonlik met water geassosieer word, blykbaar 'n soort water-

dier. In Job 3:8 en 41:1 lyk dit asof dit verwys na die krokodil of 'n ander soort waterdier wat groot en sterk is. In Psalm 104:26 is dit dalk 'n soort walvis. Op ander plekke word dit figuurlik gebruik en kan dit nie met 'n spesifieke dier geïdentifiseer word nie. – Ps 74:14; Jes 27:1.

Libanon-bergreeks. Een van die twee bergreekse van die land Libanon. Die Libanon is in die weste en die Anti-Libanon is in die ooste. Die twee bergreekse word geskei deur 'n lang, vrugbare vallei. Die Libanon-bergreeks lê amper reg langs die kus van die Middellandse See, en die pieke is gemiddeld tussen 1 800 en 2 100 m hoog. Destyds was die Libanon-berge bedek met indrukwekkende sederbome, wat baie gewild was onder die omliggende nasies (De 1:7; Ps 29:6; 92:12). – Sien Aanh. B7.

Lied van die opgange. Die opskrif wat by Psalm 120-134 gevind word. Daar is verskillende menings oor die betekenis van hierdie uitdrukking, maar baie mense glo dat hierdie 15 psalms deur vreugdevolle Israëlitiese aanbidders gesing is terwyl hulle 'opgegaan' het na Jerusalem, wat hoog in die berge van Juda geleë was, om die drie jaarlikse feeste daar by te woon.

Log. Die kleinste vloestofmaat in die Bybel. In die Joodse Talmoed word dit beskryf as 1/12 van 'n hin. Op grond daarvan sou die log 0,31 l wees (Le 14:10). – Sien Aanh. B14.

Lojale liefde. Gewoonlik 'n vertaling van die Hebreeuse woord *che'sedh*, wat verwys na liefde wat deur toegewydheid, integriteit, lojaliteit en sterk gehegtheid gemotiveer word. Dit word dikwels gebruik in verband met God se liefde vir mense, maar dit kan ook verwys na liefde wat mense aan mekaar betoon. – Eks 34:6; Rut 3:10.

Losprys. 'n Prys wat betaal word om iemand te bevry van gevangenskap, straf, lyding, sonde of selfs 'n verpligting. Die prys word nie altyd in geld betaal nie (Jes 43:3). Verskillende situasies het 'n losprys vereis. Byvoorbeeld, alle eersgebore seuns of manlike diere in Israel het aan Jehovah behoort. 'n Losprys moes betaal word om hulle los te koop, want andersins sou hulle uitsluitlik in Jehovah se diens gebruik moes word (Nu 3:45, 46; 18:15, 16). As 'n gewarlike bul vry rondgeloop het en iemand

doodgemaak het, moes die eienaar 'n losprys betaal om homself van die doodsvonnis te verlos (Eks 21:29, 30). Maar geen losprys kon aanvaar word vir iemand wat 'n persoon opsetlik doodgemaak het nie (Nu 35:31). Die offerdood van Christus is die belangrikste losprys in die Bybel. Hy het dit betaal om gehoorsame mense van sonde en die dood te bevry. – Ps 49:7, 8; Mt 20:28; Ef 1:7.

Lot, die. Klippies of stukkie hout wat gebruik is wanneer besluite geneem is. Dit is in die voue van 'n kledingstuk of in 'n houer gesit en dan geskud. Die lot wat uitgeval het of uitgetrek is, is die een wat gekies is. Daar is dikwels gebed wanneer die lot gewerp is. Die woord "lot" word letterlik en figuurlik gebruik. – Jos 14:2; Spr 16:33; Mt 27:35.

M

Magistrate. Onder die regering van Babilon was magistrate 'n sekere soort staats-beampte in die provinsies wat die wet geken het en beperkte regterlike gesag gehad het. In Romeinse kolonies was magistrate administrateurs van die regering. Van hulle take was om orde te handhaaf, finansies te beheer, wetsoortreders te oordeel en toe te sien dat hulle gestraf word. – Da 3:2; Han 16:20.

Mahalat. Blykbaar 'n musiekterm wat in die opskrifte van Psalm 53 en 88 voorkom. Dit is moontlik verwant aan 'n Hebreeuse grondwerkwoord wat "swak word; siek word" beteken. Indien wel, sou dit moontlik 'n treurige en hartseer melodie wees wat sou pas by die sombere inhoud van die twee liedere.

Malkam. Waarskynlik dieselfde as Molog, die hoofgod van die Ammoniete (Sef 1:5). – Sien MOLOG.

Manna. Die Israëliete se stapelvoedsel gedurende hulle 40 jaar in die wildernis. Dit is deur Jehovah voorsien. Dit het elke oggend wonderbaarlik op die grond verskyn onder 'n laag dou, behalwe op die Sabbat. Toe die Israëliete dit die eerste keer gesien het, het hulle gevra: "Wat is dit?" of, in Hebreeus: "Man hoe?" (Eks 16:13-15, 35). In ander kontekste word dit "graan van die hemel" (Ps 78:24), "brood uit die hemel" (Ps 105:40) en "die brood van magtiges" (Ps 78:25) genoem. Jesus het ook in 'n figuurlike sin na manna verwys. – Joh 6:49, 50.

Masedonië. 'n Gebied noord van Griekeland wat onder Aleksander die Grote bekend geword het en onafhanklik gebly het totdat dit deur die Romeine verower is. Masedonië was 'n Romeinse provinsie toe die apostel Paulus Europa vir die eerste keer besoek het. Paulus het die gebied drie keer besoek (Han 16:9). – Sien Aanh. B13.

Maskil. 'n Hebreeuse term in die opskrif van 13 psalms. Die betekenis is onseker, maar dit verwys moontlik na 'n gedig wat nadenkend geskryf is. Volgens sommige kom die betekenis dalk ooreen met 'n soortgelyke woord wat vertaal word as 'dien met goeie oordeel'. – 2Kr 30:22; Ps 32:Ops.

Mede; Medië. 'n Volk wat van Jafet se seun Madai afgestam het. Hulle het in die bergagtige plato van Iran gaan woon, wat die land Medië geword het. Die Mede het met Babilon saamgespan en Assirië verslaan. Persië was op daardie stadium 'n provinsie onder Medië, maar Kores het in opstand gekom, en Medië en Persië het saamgesmelt om die Medo-Persiese Ryk te vorm wat die Neo-Babiloniese Ryk in 539 VHJ verslaan het. Daar was Mede in Jerusalem gedurende Pinkster in 33 HJ (Da 5:28, 31; Han 2:9). – Sien Aanh. B9.

Medelye. 'n Simpatieke bewustheid van iemand anders se lyding of teëspoed wat gepaardgaan met 'n begeerte om dit te verlig. – Mal 3:17; Ef 4:32; 1Jo 3:17.

Meetriet. 'n Meetriet was ses el lank. Op grond van die gewone el was dit 2,67 m; op grond van die lang el was dit 3,11 m (Ese 40:3, 5; Op 11:1). – Sien Aanh. B14.

Melaatsheid; melaatse. 'n Ernstige velsiekte. In die Bybel is melaatsheid nie beperk tot die siekte soos ons dit vandag ken nie, want dit het nie net mense aangetas nie, maar ook klere en huise. – Le 14:54, 55; Lu 5:12.

Mensekind. 'n Term wat met verwysing na Esegïel en Daniël gebruik word. Dit beklemtoon die verskil tussen hulle as menslike woordvoerders en die Bron van hulle boodskap, God. – Ese 3:17; Da 8:17.

Merodag. Die hoofgod van die stad Babilon. Nadat die Babiloniese koning en wetgewer Hammoerabi Babilon die hoofstad van Babilonië gemaak het, het Merodag (Mardoek) al hoe belangriker geword. Uiteindeelik het Merodag die plek van 'n aantal vroeë

re gode ingeneem en die hoofgod van al die Babiloniese gode geword. In latere tydperke is die naam Merodag (Mardoek) vervang met die titel "Beloe" (wat "eienaar" beteken), en daar is dikwels na Merodag verwys as Bel. – Jer 50:2.

Messias. 'n Woord wat afkomstig is van die Hebreeuse woord vir "gesalfde". "Christus" is afkomstig van 'n Griekse woord wat dieselfde betekenis het. – Da 9:25; Joh 1:41.

Meulsteen. 'n Ronde steen bo-op 'n soortgelyke steen wat gebruik is om graan tot meel te maal. 'n Pen is in die middel van die onderste steen geplaas, wat 'n as vir die boonste steen was. In Bybeltye het vrouens handmeule in die meeste huise gebruik. Aangesien 'n gesin van hulle handmeul afhanklik was vir hulle daaglikse brood, het die Wet van Moses verbied dat 'n meul of 'n boonste meulsteen as 'n waarborg vir 'n lening geneem word. Groter meule is deur diere gedraai. – De 24:6; Mr 9:42.

Middelaar. Iemand wat tussen twee partye bemiddel om hulle met mekaar te versoen. In die Bybel is Moses die middelaar van die Wetsverbond en Jesus die middelaar van die nuwe verbond. – Ga 3:19; 1Ti 2:5.

Miktam. 'n Hebreeuse woord in die opskrifte van ses psalms (Ps 16, 56-60). Dit is 'n tegniese term waarvan die betekenis onseker is, maar dit hou dalk verband met die woord "inskripsie".

Milkom. 'n God wat deur die Ammoniete aanbid is, waarskynlik dieselfde god as Molog (1Kn 11:5, 7). Na aan die einde van sy heerskappy het Salomo offerhoogtes vir hierdie valse god gebou. – Sien MOLOG.

Mina. Ook 'n mine in Esegïel genoem. 'n Gewigseenheid sowel as 'n geldeenheid. Op grond van argeologiese bewyse dat 'n mina gelyk was aan 50 sikkels en dat 'n sikkell 11,4 g geweeg het, sou 'n mina in die Hebreeuse Geskrifte 570 g geweeg het. Daar was dalk ook 'n koninklike mina, soos in die geval van die el. In die Christelike Griekse Geskrifte was 'n mina gelyk aan 100 dragmas. Dit het 340 g geweeg. Sestig minas was gelyk aan 'n talent (Esr 2:69; Lu 19:13). – Sien Aanh. B14.

Mirre. 'n Aromatiese gomhars van 'n verskeidenheid doringbosse of -boompies van die genus *Commiphora*. Mirre was een van die bestanddele van die heilige salfolie. Dit is gebruik om dinge soos klere of beddens te

laat lekker ruik en is by masseerolies en velrome gevoeg. Mirre is ook gebruik om lyke te balsem voordat dit begrawe is. – Eks 30:23; Spr 7:17; Joh 19:39.

Molog. 'n God van die Ammoniete; moontlik dieselfde god as Malkam of Milkom. Dit is moontlik 'n titel eerder as die naam van 'n spesifieke god. Onder die Wet van Moses het iemand die doodstraf verdien as hy sy kinders aan Molog geoffer het. – Le 20:2; Jer 32:35; Han 7:43.

Mörester. – Sien DAGSTER.

Moses, Wet van. Die Wet wat Jehovah deur Moses in 1513 VHJ aan Israel in die wildernis Sinai gegee het. Dit word ook die Mosaïese Wet genoem. Die eerste vyf boeke van die Bybel word dikwels die Wet genoem. – Jos 23:6; Lu 24:44.

Musiekleier. In die Psalms het die Hebreeuse term hiervoor blykbaar verwys na iemand wat liedere op die een of ander manier verwerk het, die sing daarvan gedirigeer het, die Levitiese sangers afgerig het en selfs amptelike uitvoerings gelei het. Ander vertalings vertaal hierdie term as "koorleier". – Ps 4:Ops; 5:Ops.

Mut-Labben. 'n Term in die opskrif van Psalm 9. Volgens tradisie het dit "aangaande die dood van die seun" beteken. Volgens party was dit die naam of dalk die openingswoorde van 'n bekende liedjie waarvan die melodie vir hierdie psalm gebruik is.

Myl. 'n Afstandmaat wat net een keer in die oorspronklike teks van die Christelike Griekse Geskrifte voorkom, in Matteus 5:41, en wat waarskynlik verwys na die Romeinse myl van 1 479,5 m. – Sien Aanh. B14.

N

Nardus. 'n Duur, ligrooi olie wat lekker ruik en afkomstig is van die nardusplant (*Nardostachys jatamansi*). Omdat nardus duur was, is dit dikwels met olies van minderwaardige gehalte gemeng, en dit is soms nagemaak. Dit is interessant dat Markus sowel as Johannes sê dat "egte nardus" op Jesus uitgegooi is. – Mr 14:3; Joh 12:3.

Nasarener. 'n Naam wat aan Jesus gegee is omdat hy van die dorp Nasaret was. Dit is waarskynlik verwant aan die Hebreeuse woord wat as "spruit" vertaal word in Jesaja 11:1. Later is Jesus se volgelinge ook Nasareners genoem. – Mt 2:23; Han 24:5.

Nasireër. 'n Woord wat afgelei is van die Hebreeuse term vir "uitgekies", "toegewy", "afgesonder". Daar was twee kategorieë van Nasireërs: die vrywillige Nasireërs en dié wat deur God as Nasireërs aangestel is. 'n Man of 'n vrou kon 'n spesiale gelofte aan Jehovah maak om 'n tyd lank as 'n Nasireër te lewe. Daar was drie dinge wat verbode was vir dié wat vrywillig so 'n gelofte gemaak het: Hulle mag nie enige alkohol gedrink het of enigiets geëet het wat van die wingerdstok gekom het nie, hulle mag nie hulle hare gesny het nie en hulle mag nie aan 'n dooie liggaam geraak het nie. Dié wat deur God as Nasireërs aangestel is, het hulle hele lewe lank Nasireërs gebly, en Jehovah het die vereistes vir hulle vasgestel. – Nu 6:2-7; Rig 13:5.

Nefilim. Die gewelddadige basterseuns van engele (wat menseliggame aangeneem het) en "die dogters van die mense". Hulle het voor die Vloed gelewe. – Ge 6:4.

Nehilot. 'n Term in die opskrif van Psalm 5. Daar is nie sekerheid oor die betekenis daarvan nie. Party dink dat dit na 'n blaasinstrument verwys en verbind dit met 'n Hebreeuse woord wat verwant is aan die woord *cha-lil'* (fluit). Maar dit kan na 'n melodie verwys.

Netinim. Nie-Israelitiese tempelknegte. Die Hebreeuse term beteken letterlik "gegewenes", wat aandui dat hulle gegee is vir diens by die tempel. Baie van hulle was waarskynlik nakomelinge van die Gibeoniete, wat Josua aangestel het as "houtkappers en waterdraers . . . vir die gemeenskap van Israel en vir Jehovah se altaar". – Jos 9:23, 27; 1Kr 9:2; Esr 8:17.

Nisan. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam vir die eerste maand van die Joodse godsdienskalender, wat ook die sewende maand van die sekulêre kalender was. Voorheen is dié maand "Abib" genoem. Dit het in die middel van Maart begin en in die middel van April geëindig (Ne 2:1). – Sien Aanb. B15.

Nuwemaan. Die eerste dag van elke maand van die Joodse kalender. Dit was 'n dag waarop die volk bymekaargekom het, feesgevier het en spesiale offers geoffer het. Later het die dag 'n belangrike nasionale feesdag geword waarop mense nie gewerk het nie. – Nu 10:10; 2Kr 8:13; Kol 2:16.

O

Offer; offerande. 'n Offer word vir God aangebied om dankbaarheid te toon, om skuld te erken en om weer 'n goeie verhouding met hom te verkry. Van Abel se tyd af het mense verskillende offers, insluitende diereoffers, vrywillig aangebied. Onder die Wet van Moses het offers verpligtend geword. Nadat Jesus sy lewe as 'n volmaakte offerande gegee het, was diereoffers nie meer nodig nie. Maar Christene bring nog steeds geestelike offers aan God. – Ge 4:4; Heb 13:15, 16; 1Jo 4:10.

Offerbrode. Twaalf brode wat in twee stapels van ses op die tafel in die Heilige van die tabernakel en van die tempel geplaas is. Dit word ook "stapelbrode" en "aanbiedingsbrode" genoem. Elke Sabbat is hierdie offer aan God met vars brood vervang. Die brood wat verwyder is, is gewoonlik net deur die priesters geëet (2Kr 2:4; Mt 12:4, vtn.; Eks 25:30; Le 24:5-9; Heb 9:2, vtn.). – Sien Aanb. B5.

Offerhoogte. 'n Plek van aanbidding wat gewoonlik bo-op 'n heuwel, berg of mensgemaakte hoogte was. Hoewel offerhoogtes soms in die aanbidding van God gebruik is, het dit meer dikwels met die aanbidding van valse gode verband gehou. – Nu 33:52; 1Kn 3:2; Jer 19:5.

Ongesuur. Sonder suurdeeg gemaak. – De 16:3; Mr 14:12; 1Kr 5:8.

Onikssteen. 'n Halfedelsteen. 'n Harde soort agaat of 'n gestreepte soort kalsedoon. Onikssteen het wit lae wat met swart, bruin, rooi, grys of groen lae afwissel. Daar was oniksstene op die spesiale klere van die hoëpriester. – Eks 28:9, 12; 1Kr 29:2; Job 28:16.

Onkreukbaarheid. – Sien INTEGRITEIT.

Onrein. Dit kan verwys na fisiese onreinheid of na onreinheid weens ongehoorsaamheid aan sedelike wette. In die Bybel verwys die woord dikwels na iets wat volgens die Wet van Moses nie aanvaarbaar, of rein, was nie (Le 5:2; 13:45; Mt 10:1; Han 10:14; Ef 5:5). – Sien REIN.

Onverdiende goedheid. 'n Griekse woord wat basies verwys na iets wat lieflik en aangenaam is. Dit dui dikwels op 'n geskenk wat uit goedhartigheid gegee word of op 'n liefdevolle manier van gee. Wanneer daar

van die onverdiende goedheid van God gepraat word, verwys dit na 'n vrye gawe wat God uit sy groot vrygewigheid gee sonder om te verwag dat die ontvanger iets terugbetaal. Dit is dus 'n bewys van God se vrygewigheid en groot liefde en goedheid teenoor mense. Die Griekse woord word ook vertaal as “seën” en “geskenk wat uit liefde gegee is”. Dit is iets wat die gewer uit vrygewigheid gee en nie omdat die ontvanger dit verdien nie. – 2Kor 6:1; Ef 1:7.

Oond. In Bybeltye was daar huishoudelike oonde, maar ook ander soorte oonde om kalk te brand, erts of metale te smelt en om stene en erdewerk te bak. – Ge 15:17; Da 3:17; Op 9:2.

Oordeelsdag. 'n Spesifieke dag, of tydperk, wanneer God van groepe, nasies of mense oor die algemeen rekenskap sal eis. Dit is dalk 'n tyd vir dié wat tot die dood veroordeel is, om tereggestel te word, maar dit kan ook 'n oordeel wees wat party die kans gee om gered te word en die ewige lewe te kry. Jesus Christus en sy apostels het gepraat van 'n toekomstige “Oordeelsdag” vir die lewendes, sowel as vir dié wat al gesterf het. – Mt 12:36.

Opsiener. 'n Man wie se belangrikste verantwoordelikheid is om die gemeente te beskerm en 'n herder te wees. Die Griekse woord *e-pi'sko-pos* verwys basies na iemand wat beskerm en toesig hou. Die terme “opsiener” en “ouerman” (*presbu'te-ros*) verwys na dieselfde posisie in die Christengemeente. Die term “ouerman” vestig die aandag op die geestelike volwassenheid van die persoon wat aangestel is, en die term “opsiener” vestig die aandag op sy pligte. – Han 20:28; 1Ti 3:2-7; 1Pe 5:2.

Opskrif. Verskyn aan die begin van sommige psalms. Dit sê wie die skrywer is of gee agtergrondinligting of bevat musikale instruksies of dui aan wat die gebruik of doel van die psalm is. – Sien die opskrifte van Psalm 3, 4, 5, 6, 7, 30, 38, 60, 92, 102.

Opstanding. Dit verwys na 'n opstanding uit die dood. Die Griekse woord *a-na'sta-sis* beteken letterlik “om op te staan”. Nege opstandings word in die Bybel genoem, insluitende die opstanding van Jesus, wat deur Jehovah God opgewek is. Al het Elia, Elisa, Jesus, Petrus en Paulus mense opgewek, word hierdie wonderwerke aan God se

krag toegeskryf. Die opstanding van “die regverdiges en die onregverdiges” op die aarde is noodsaaklik vir die vervulling van God se voorneme (Han 24:15). Die Bybel praat ook van 'n hemelse opstanding, wat “die vroeër” of “die eerste” opstanding genoem word. Jesus se geesgesalfde broers ontvang hierdie opstanding. – Flp 3:11; Op 20:5, 6; Joh 5:28, 29; 11:25.

Ouerman; ouderling. In die Bybel verwys dit hoofsaaklik na iemand wat 'n posisie van gesag en verantwoordelikheid in 'n gemeenskap of 'n nasie het. In die boek Openbaring word die woord “ouderling” gebruik om na hemelse wensens te verwys. Die Griekse woord *presbu'te-ros* word as “ouerman” vertaal wanneer dit verwys na dié wat die leiding in die gemeente neem. – Eks 4:29; Spr 31:23; 1Ti 5:17; Op 4:4.

P

Paal. 'n Regopstaande stuk hout wat sommige volke gebruik het om iemand te reg te stel en/of om 'n dooie liggaam in die openbaar te vertoon as 'n waarskuwing vir ander of as 'n openbare vernedering. Die Assiriërs, wat bekend was vir hulle wrede oorlogvoering, het gevangenes aan spits pale opgehang wat deur die onderlyf van die slagoffer tot in sy borskasholte gesteeke is. Volgens die Joodse wet moes mense wat skuldig was aan ernstige misdade soos godslastering of afgodediens eers doodgemaak word, deur hulle byvoorbeeld met klippe te gooi, en daarna is hulle dooie liggame aan pale of bome gehang as 'n waarskuwende voorbeeld vir ander (De 21:22, 23; 2Sa 21:6, 9). Soms het die Romeine 'n slagoffer net vasgebind aan 'n paal. In so 'n geval kon dit 'n paar dae neem voordat hy van pyn, dors, honger en blootstelling aan die son sou sterf. In ander gevalle, soos die teregstelling van Jesus, het hulle die hande en voete van die beskuldigde aan 'n paal vasgespyker (Lu 24:20; Joh 19:14-16; 20:25; Han 2:23, 36). – Sien FOLTERPAAL.

Pand. 'n Persoonlike besitting wat 'n skuldenaar aan 'n skuldeiser gegee het as sekuriteit, of as 'n waarborg dat hy 'n lening sou terugbetaal. Die Wet van Moses het wetsvoorskrifte bevat in verband met pande om die belange van die armes en hulpeloses van die volk te beskerm. – Eks 22:26; Ese 18:7.

Papirus. 'n Rietagtige waterplant wat gebruik is om onder andere mandjies, houers en bote te maak. Dit is ook gebruik om skryfmateriaal te maak wat soortgelyk is aan papier. Baie boekrolle was van papirus gemaak. – Eks 2:3.

Paradys. 'n Pragtige park of tuin. Die eerste paradys was Eden, wat Jehovah vir die eerste mensepaar gemaak het. Toe Jesus met een van die misdadigers gepraat het wat aan 'n folterpaal langs hom gehang het, het hy aangedui dat die aarde 'n paradys sal word. In 2 Korintiërs 12:4 verwys die woord blykbaar na 'n toekomstige paradys, en in Openbaring 2:7 na 'n hemelse paradys. – Hgl 4:13; Lu 23:43.

Pasga. 'n Jaarlikse fees wat op die 14de dag van Abib (later Nisan genoem) gehou is om die verlossing van die Israeliete uit Egipte te herdenk. Op hierdie dag is 'n skaaplam of 'n boklam geslag en gebraai. Dit is dan saam met bitter kruie en ongesuurde brood geëet. – Eks 12:27; Joh 6:4; 1Kor 5:7.

Perkament. Die vel van 'n skaap, bok of kalf wat bewerk is om as skryfmateriaal gebruik te word. Dit was duursamer as papirus en is gebruik vir party van die boekrolle van die Bybel. Die perkamente wat Timoteus vir Paulus moes neem, was maontlik gedeeltes van die Hebreeuse Geskrifte. Sommige van die Dooie See-rolle is op perkament geskryf. – 2Ti 4:13.

Persië; Perse. 'n Land en 'n volk wat dikwels saam met die Mede genoem is. Die Perse was blykbaar verwant aan die Mede. Die Perse het oorspronklik in die suidwestelike deel van die Irannese plato gewoon. Onder Kores die Grote het die Perse die oorhand oor die Mede gekry, maar die ryk het 'n tweedelike ryk gebly. (Volgens sommige geskiedskrywers van die ou tyd was Kores se pa 'n Pers en sy ma 'n Meder.) Kores het die Babiloniese Ryk in 539 VJH verower, en hy het die Jode wat in ballingskap was, toegelaat om na hulle vaderland terug te keer. Die Persiese Ryk het gestrek van die Indusrivier in die ooste tot die Egeïese See in die weste. Die Jode was onder Persiese heerskappy totdat die Perse in 331 VJH deur Aleksander die Grote verslaan is. In 'n visioen het Daniël besonderhede oor die Persiese Ryk vooruitsien. Daar word ook in die Bybelboeke Esra, Nehemia en Ester na

die Persiese Ryk verwys (Esr 1:1; Da 5:28; 8:20). – Sien Aanh. B9.

Pilaar. 'n Regop paal wat soms gebruik is om 'n gedeelte van 'n gebou te ondersteun. Pilaare is byvoorbeeld gebruik in die tempel en die koninklike geboue wat deur Salomo gebou is. Pilaare is ook soms opgerig om belangrike dade of gebeurtenisse van die verlede te herdenk. Heidense volke het heilige pilaare opgerig as deel van hulle valse aanbidding, en soms het die Israeliete dit ook gedoen in navolging van daardie nasies (Rig 16:29; 1Kn 7:21; 14:23). – Sien KOPSTUK.

Pilaargang van Salomo. In die tempel van Jesus se dag was dit 'n oordekte gang aan die oostekant van die buitenste voorhof. Daar is oor die algemeen aangeneem dat dit 'n oorblyfsel van Salomo se tempel was. Jesus het 'in die winter' daar geloop, en vroeë Christene het daar bymekaargekom vir aanbidding (Joh 10:22, 23; Han 5:12). – Sien Aanh. B11.

Pim. 'n Gewig en ook die prys wat die Filistyne vasgestel het vir die skerpmaak van metaalgereedskap. Die Hebreeuse konsonante vir die woord "pim" verskyn op 'n hele paar weegstene wat in Israel opgegrawe is. Hulle gemiddelde gewig is 7,8 g, wat gelyk sou wees aan ongeveer twee derdes van 'n sikkel. – 1Sa 13:20, 21.

Pinkster. Die tweede van die drie groot feeste wat alle Joodse mans in Jerusalem moes gaan vier. Pinkster beteken "vyftigste (dag)". Dit is die naam wat in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik word vir wat in die Hebreeuse Geskrifte die Fees van die Oes of Fees van die Weke genoem word. Dit is op die 50ste dag ná 16 Nisan gevier. – Eks 23:16; 34:22; Han 2:1.

Plaag. Verwys meestal na 'n siekte of ramp wat van Jehovah af kom en as straf dien. – Nu 16:49.

Poel van vuur. 'n Simboliese plek wat "met vuur en swael brand" en ook beskryf word as "die tweede dood". Onberouvolle sondaars, die Duiwel, en selfs die dood en die Graf (Hades) word daarin gegooi. Die feit dat dinge wat nie kan brand nie, soos 'n geeskepsel en ook die dood en Hades ingesluit word, toon dat hierdie poel van vuur nie 'n simbool van ewige pyniging is nie, maar van ewige vernietiging. – Op 19:20; 20:14, 15; 21:8.

Porneia. – Sien SEKSUELE ONSEDELIKHEID.

Pottebakker. Iemand wat potte, bakke en ander houers van klei maak. Die Hebreeuse woord wat as pottebakker vertaal word, beteken letterlik “vormer”. ’n Pottebakker se mag oor die klei is dikwels gebruik om Jehovah se absolute mag oor individue en nasies af te beeld. – Jes 64:8; Ro 9:21.

Prefek. ’n Beampte in die Babiloniese regering wat laer in rang was as ’n satrap. Volgens die Bybel het die prefekte gesag gehad oor die wyse manne van die paleis in Babilon. Daar was ook prefekte in die tyd van koning Darius die Meder. – Da 2:48; 6:7.

Pretoriaanse wag. ’n Groep Romeinse soldate wat die lyfwag van die Romeinse keiser gevorm het. Hierdie lyfwag het ’n groot politieke mag geword wat kon bepaal of ’n keiser sy posisie behou of daaruit verwyder word. – Flp 1:13.

Priester. ’n Man wat God amptelik voor die volk verteenwoordig het. Hy het hulle geleer van God en sy wette. Priesters het die volk ook voor God verteenwoordig deur offerandes te bring, as tussengangers op te tree en vir die volk te pleit. Voordat die Wet van Moses gegee is, het die familiehoof as priester vir sy familie opgetree. Onder die Wet van Moses het die priesterdom bestaan uit die manlike lede van die familie van Aäron uit die stam van Levi. Die ander manlike Leviete was hulle assistente. Toe die nuwe verbond ingestel is, het geestelike Israel ’n nasie van priesters geword, met Jesus Christus as Hoëpriester. – Eks 28:41; Heb 9:24; Op 5:10.

Prikkel. ’n Lang stok met ’n skerp metaalpunt wat deur boere gebruik is om ’n dier mee aan te dryf. Die woorde van ’n wyse persoon word met ’n prikkel vergelyk omdat dit iemand beweeg om na wyse raad te luister. ‘Om teen die prikkels te skop’ beskryf die gedrag van ’n hardkoppige bul wat homself beseer deur teen ’n prikkel te skop. – Han 26:14; Rig 3:31.

Profet. Iemand wat God se voornemens bekend maak. Profete was woordvoerders vir God. Hulle het nie net voorspellings bekend gemaak nie, maar ook Jehovah se leringe, bevele en oordele. – Am 3:7; 2Pe 1:21.

Profesie. ’n Geïnspireerde boodskap waarin God se wil geopenbaar of aan ander oorge- dra word. ’n Profesie kan ’n geïnspireerde lering oor sedelike sake wees, ’n bevel of oordeel van God of ’n voorspelling. – Ese 37:9, 10; Da 9:24; Mt 13:14; 2Pe 1:20, 21.

Prokonsul. Die goewerneur van ’n provinsie wat deur die Romeinse senaat bestuur is. Hy het regterlike en militêre mag gehad. Hoewel die senaat hom aanspreeklik kon hou vir sy dade, het hy die hoogste gesag in die provinsie gehad. – Han 13:7; 18:12.

Proseliet. ’n Bekeerde. In die Bybel verwys dit na iemand wat die Joodse geloof aangeneem het. ’n Man wat ’n proseliet geword het, moes besny word. – Mt 23:15; Han 13:43.

Prostituut. Iemand wat buite-egtelike seks het, veral teen betaling. (Die Griekse woord vir “prostituut”, *por'ne*, kom van ’n woord wat “om te verkoop” beteken.) Hierdie woord verwys gewoonlik na ’n vrou, maar die Bybel praat ook van manlike prostitute. Prostitusie is in die Wet van Moses veroordeel. Die betaling wat ’n prostituut ontvang het, kon nie gegee word as ’n bydrae vir Jehovah se tempel nie. In teenstelling hiermee het heidense volke tempelprostitute gebruik as ’n bron van inkomste (De 23: 17, 18; 1Kn 14:24). Die Bybel verwys ook na geestelike prostitusie, wat gepleeg word deur mense, nasies of organisasies wat ’n vorm van afgodediens beoefen terwyl hulle beweer dat hulle God aanbid. Byvoorbeeld, die godsdienstiteit wat “Babilon die Grote” genoem word, word in Openbaring as ’n prostituut beskryf omdat sy met die leiers van hierdie wêreld assosieer om mag en rykdom te verkry. – Op 17:1-5; 18:3; 1Kr 5: 25, vtn.

Psalm. ’n Loflied aan God. Musiek is vir die psalms gekomponeer, en die psalms is deur aanbidders gesing. Hulle het dit byvoorbeeld gesing wanneer hulle Jehovah God by sy tempel in Jerusalem aanbid het. – Lu 20:42; Han 13:33; Jak 5:13.

Purim. Die jaarlikse fees wat op die 14de en 15de van die maand Adar gevier is om die redding van die Jode in die tyd van koningin Ester te herdenk. Die nie-Hebreeuse woord *pu-rim* beteken “lote”. Die fees het die naam Purim of Lotefees gekry omdat Haman die *pur* (die lot) gewerp het om te

bepaal op watter dag hy sy plan sou uitvoer om die Jode uit te roei. – Est 3:7; 9:26.

R

Rahab. 'n Term wat simbolies gebruik word in Job, Psalms en Jesaja. In die boek Job dui die konteks aan dat Rahab 'n seemonster is. In ander kontekste word hierdie seemonster gebruik as 'n simbool vir Egipte. – Job 9:13; Ps 87:4; Jes 30:7; 51:9, 10.

Regterstoel. Gewoonlik 'n verhoogde platform met trappies, waar amptenare gesit het en met die skare kon praat en hulle uitsprake kon aankondig. Die uitdrukking "regterstoel van God" en "regterstoel van die Christus" simboliseer Jehovah se reëling om die mensdom te oordeel. – Ro 14:10; 2Kor 5:10; Joh 19:13.

Regverdigheid. In die Bybel verwys dit na wat reg is volgens God se standaard van wat reg en verkeerd is. – Ge 15:6; De 6:25; Spr 11:4; Sef 2:3; Mt 6:33.

Rein. In die Bybel verwys hierdie woord nie net na fisiese reinheid nie, maar ook na sedelike of geestelike reinheid wat behou of herstel word – 'n vlekkelose toestand, vry van enigiets wat besoedel, vervals of verderf. Onder die Wet van Moses verwys die woord na seremoniële reinheid. – Le 10:10; Ps 51:7; Mt 8:2, vtn.; 1Kor 6:11.

Reukwerk. 'n Mengsel van aromatiese gomharse en balsems wat 'n aangename geur afgee terwyl dit stadig brand. Spesiale reukwerk is van vier bestanddele gemaak vir gebruik in die tabernakel en die tempel. Dit is in die oggend en in die aand op die reukwerkaltaar in die Heilige gebrand, en op die Versoendag is dit in die Allerheiligste gebrand. Dit was 'n simbool van die aanvaarbare gebede van God se getroue knegte. Daar is nie van Christene vereis om reukwerk te brand nie. – Eks 30:34, 35; Le 16:13; Op 5:8.

Riet. 'n Term vir verskillende plante wat meestal groei waar daar baie water is. Dit verwys dikwels na *Arundo donax* (Job 8:11; Jes 42:3; Mt 27:29; Op 11:1). – Sien MEET-RIET.

Rigters. Manne wat Jehovah aangestel het om sy volk te red voor die tydperk van Israel se mensekonings. – Rig 2:16.

S

Sabbat. Kom van 'n Hebreeuse woord wat "om te rus; om op te hou" beteken. Dit is

die sewende dag van die Joodse week (van Vrydag sonder tot Saterdag sonder). Sommige ander feesdae in die jaar en die 7de en 50ste jaar is ook sabbatte genoem. Die enigste werk wat op die Sabbatdag toelaatbaar was, was die priesterlike diens in die heiligdom. Gedurende Sabbatsjare moes die grond nie bewerk word nie en is daar nie druk op mede-Hebreërs geplaas om hulle skuld te betaal nie. In die Wet van Moses was die beperkings in verband met die Sabbat redelik, maar godsdiensleiers het geleidelik nog beperkings bygevoeg, en daarom het dit teen Jesus se dag 'n swaar las vir die volk geword. – Eks 20:8; Le 25:4; Lu 13:14-16; Kol 2:16.

Sadduseërs. 'n Belangrike sekte van die Joodse geloof wat bestaan het uit priesters en ryk manne met 'n hoë sosiale status. Hulle het groot gesag gehad oor die bedrywighe by die tempel. Hulle het al die mondelinge tradisies en ook ander leringe van die Fariseërs verwerp. Hulle het nie aan die opstanding of aan die bestaan van engele geglo nie. Hulle het Jesus teëgestaan. – Mt 16:1; Han 23:8.

Saklinne. Growwe materiaal wat gebruik is om sakke, soos graansakke, te maak. Dit is gewoonlik van donker bokhaar gewee, en mense het dit gewoonlik gedra wanneer hulle gerou het. – Ge 37:34; Lu 10:13.

Salf. Die Hebreeuse woord beteken basies "om met vloeistof te smeer". Olie is op 'n persoon of 'n voorwerp gesmeer om aan te dui dat die persoon of voorwerp vir 'n spesiale soort diens toegewy word. In die Christelike Griekse Geskrifte word die woord ook gebruik vir die uitstorting van heilige gees op persone wat vir die hemelse hoop gekies is. – Eks 28:41; 1Sa 16:13; 2Kor 1:21.

Samaria. Die stad wat sowat 200 jaar lank die hoofstad van die noordelike tienstammeryk van Israel was. Dit het ook verwys na die hele gebied van die tienstammeryk. Die stad was gebou op 'n berg met dieselfde naam. In Jesus se tyd was Samaria die naam van 'n distrik wat tussen Galilea in die noorde en Judea in die suide was. Jesus het gewoonlik nie in hierdie gebied gepreek nie, maar wanneer hy soms daardeur gereis het, het hy wel met die inwoners gepraat. Petrus het die tweede figuurlike sleu-

tel van die Koninkryk gebruik toe die Samaritane die heilige gees ontvang het (1Kn 16:24; Joh 4:7; Han 8:14). – Sien Aanh. B10.

Samaritane. Die term het eers verwys na die Israëliete van die noordelike tienstammeryk, maar nadat Samaria in 740 VJH deur die Assiriërs verower is, het dit ook verwys na die uitlanders wat deur die Assiriërs daarheen gebring is. In Jesus se tyd is die naam gewoonlik nie gebruik om te verwys na die Samaritane as 'n ras of na mense wat in Samaria gewoon het nie. Dit is eerder gebruik om te verwys na mense wat behoort het aan die sekte wat in die omgewing van eertydse Sigem in Samaria was. Hulle het leringe gehad wat heeltemal anders was as dié van die Joodse geloof. – Joh 8:48.

Sanhedrin. Die Joodse Hoë Raad, of geregshof, in Jerusalem. In Jesus se dag het dit bestaan uit 71 lede, insluitende die hoëpriester, voormalige hoëpriesters, lede van die hoëpriesterlike families, ouermanne, stamhoofde, familiehoofde en skrifgeleerdes. – Mr 15:1; Han 5:34; 23:1, 6.

Satan. 'n Hebreeuse woord wat "teenstander" beteken. Wanneer dit in die oorspronklike tale met die bepaalde lidwoord voorkom, met ander woorde met 'n "die" vooraan, verwys dit na Satan die Duiwel, God se vernaamste teenstander. – Job 1:6; Mt 4:10; Op 12:9.

Satrap. 'n Goewerneur van 'n provinsie in die Babiloniese of Persiese Ryk. 'n Satrap is deur die koning aangestel as die hoogste gesag in die provinsie. – Esr 8:36; Da 6:1.

Sea. 'n Droëmaat van 7,33 l, gebaseer op die bat, wat 'n vloeistofmaat was (2Kn 7:1). – Sien Aanh. B14.

Sebat. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die 11de maand van die Joodse godsdienskalender en die 5de maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Januarie begin en in die middel van Februarie geëindig (Sag 1:7). – Sien Aanh. B15.

Seël. iets wat gebruik is om 'n afdruk te maak (gewoonlik op klei of was). So 'n afdruk het gedien as 'n bewys van eienaarskap, egtheid of die bevestiging van 'n ooreenkoms. Eertydse seëls is van harde materiaal (klip, ivoor of hout) gemaak, en die omgekeerde beeld van letters of figure is daarop gegradeer.

veer. Die term word ook figuurlik gebruik as 'n bewys van eienaarskap of van egtheid of om te toon dat iets 'n geheim is. – Eks 28:11; Ne 9:38; Op 5:1; 9:4.

Seëlring. 'n Ring met 'n seël op wat aan die vinger gedra is, of aan 'n touthie, waarskynlik om die nek. Die seëlring van 'n heerser of 'n hoë amptenaar was 'n simbool van sy gesag (Ge 41:42). – Sien SEËL.

Seksuele onsedelikheid. Dit kom van die Griekse woord *por-nei'a*, 'n term wat in die Bybel gebruik word om te verwys na sekere seksuele aktiwiteite wat deur God verbied word. Dit sluit egbrek, prostitutie, seksuele omgang tussen ongetroude persone, homoseksualiteit en bestialiteit in. In Openbaring word dit figuurlik gebruik om die assosiasie te beskryf wat die godsdiensprostituit, "Babilon die Grote", met die heersers van hierdie wêreld het om mag en rykdom te verkry (Op 14:8; 17:2; 18:3; Mt 5:32; Han 15:29; Ga 5:19). – Sien PROSTITUUT.

Sekte. 'n Groep mense wat 'n leer of 'n leier aanhang en volgens hulle eie opvattinge lewe. Die twee belangrike groepe van die Joodse geloof, die Fariseërs en die Sadduseërs, is sektes genoem. Nie-Christene het die Christelike godsdiens 'n "sekte" of "die sekte van die Nasareners" genoem, moontlik omdat hulle gemeen het dat die Christelike godsdiens van die Joodse geloof weggebreek het. Sektes het later in die Christengemeente ontstaan. Openbaring praat van "die sekte van Nikolaus". – Han 5:17; 15:5; 24:5; 28:22; Op 2:6; 2Pe 2:1.

Sela. 'n Tegniese term wat in musiek of voordrag gebruik word en wat in Psalms en Habakuk gevind word. Dit kan dui op 'n pouse in die sang of in die musiek, of in albei, om die geleentheid te bied vir stille bepeinsing of om 'n gedagte te beklemtoon wat uitgedruk is. Die Griekse *Septuagint* vertaal die term as *di-a'psal-ma*, wat "'n musikale tussenspel" beteken. – Ps 3:4; Hab 3:3.

Septer. Die staf van 'n heerser. Dit was 'n simbool van koninklike gesag. – Ge 49:10; Heb 1:8.

Serafs. Geesskepele wat om Jehovah se troon in die hemel is. Die Hebreeuse term *sera-fim'* beteken letterlik "brandendes". – Jes 6:2, 6.

Seun van Dawid. 'n Uitdrukking wat dikwels met verwysing na Jesus gebruik is. Dit vestig die aandag op die feit dat hy die Erfgenaam van die Koninkryk is wat in 'n verbond belowe is en wat een van Dawid se nakomelinge sou wees. – Mt 12:23; 21:9.

Seun van die mens. 'n Uitdrukking wat sowat 80 keer in die Evangelies voorkom. Dit is van toepassing op Jesus Christus en dui daarop dat hy as 'n mens gebore is en dat hy nie 'n geesskepsel was wat in 'n menslike liggaam verskyn het nie. Die uitdrukking dui ook daarop dat Jesus die profesie in Daniël 7:13, 14 sou vervul. – Mt 19:28; 20:28.

Seuns van Aäron. Nakomelinge van Levi se kleinseun Aäron, wat gekies is as die eerste hoëpriester onder die Wet van Moses. Die seuns van Aäron het die priesterlike pligte by die tabernakel en by die tempel uitgevoer. – 1Kr 23:28.

Siel. Die tradisionele vertaling vir die Hebreuse woord *ne'fesj* en die Griekse woord *psu-che'*. Wanneer 'n mens ondersoek hoe hierdie woorde in die Bybel gebruik word, word dit duidelik dat dit hoofsaaklik verwys na (1) mense, (2) diere of (3) die lewe van 'n mens of 'n dier (Ge 1:20; 2:7; Nu 31:28; 1Pe 3:20; ook voetnote). In teenstelling met hoe "siel" dikwels in 'n godsdienstige konteks gebruik word, toon die Bybel dat die woorde *ne'fesj* en *psu-che'*, wanneer dit in verband met aardse skepele gebruik word, verwys na iets wat stoflik, tasbaar, sigbaar en sterflik is. In hierdie vertaling word *ne'fesj* en *psu-che'* meestal volgens konteks vertaal met woorde soos "lewe", "dier", "persoon" of "hele wese", of soms net met 'n persoonlike voornaamwoord (byvoorbeeld, "ek" in plaas van "my siel"). Soms is daar 'n voetnoot met die alternatiewe vertaling "siel". Wanneer die woord "siel" in die hoofteks of in voetnote gebruik word, moet dit volgens die bogenoemde verduideliking verstaan word. As daar gesê word dat iemand iets met sy hele siel moet doen, beteken dit dat hy dit met sy hele wese, of heelhartig, moet doen (De 6:5; Mt 22:37). In party kontekste verwys die woorde in die oorspronklike tale na die begeerte of eetlus van 'n lewende skepsel. Dit kan ook na 'n dooie persoon of 'n lyk verwys. – Nu 6:6; Spr 23:2; Jes 56:11; Hag 2:13.

Siener. Iemand aan wie God die vermoë gegee het om te onderskei wat Sy wil is, iemand wie se oë geopen is om dinge te sien of te verstaan wat nie vir mense oor die algemeen duidelik was nie. Die Hebreuse term kom van 'n woord wat "om te sien" beteken, hetsy letterlik of figuurlik. 'n Siener is 'n persoon wat deur ander geraadpleeg is om wyse raad te kry wanneer hulle probleme gehad het. – 1Sa 9:9.

Sif. Die oorspronklike naam van die tweede maand van die Joodse godsdienkalender en die agtste maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van April begin en in die middel van Mei geëindig. In die Joodse Talmoed en in ander werke uit die tydperk ná die Babiloniese ballingskap word dit ljaar genoem (1Kn 6:37). – Sien Aanh. B15.

Sikkel. Die basiese Hebreuse gewigsmaat en geldeenheid. 'n Sikkal was 11,4 g. Die uitdrukking "standaardsikkal van die heiligdom" is moontlik gebruik om te beklemtoon dat die gewig akkuraat moes wees of dat dit moes ooreenkom met 'n standaardgewig wat by die tabernakel gehou is. Daar was moontlik 'n koninklike sikkal (wat verskil het van die gewone sikkal) of 'n standaardgewig wat by die koninklike paleis gehou is. – Eks 30:13.

Sinagoge. 'n Woord wat "bymekaarbring" of "'n byeenkoms" beteken, maar in die meeste tekste verwys dit na die gebou of plek waar die Jode bymekaargekom het vir voorlesing uit die Skrif, onderrigting en gebed. In Jesus se dag het elke groot dorp in Israël 'n sinagoge gehad, en die dorp stede het meer as een gehad. – Lu 4:16; Han 13:14, 15.

Sion; berg Sion. Die naam van die Jebusiete se vestingstad Jebus, wat op die suidoostelike heuwel van Jerusalem was. Nadat Dawid die stad ingeneem het en sy paleis daar gebou het, is Sion "die Stad van Dawid" genoem (2Sa 5:7, 9). Sion het 'n besonder heilige berg vir Jehovah geword toe Dawid die Ark daarheen laat neem het. Later is die naam ook gebruik vir die tempelgebied op die berg Moria en soms vir die hele stad Jerusalem. In die Christelike Griekse Geskrifte word dit dikwels simbolies gebruik. – Ps 2:6; 1Pe 2:6; Op 14:1.

Sirië; Siriërs. – Sien ARAM; ARAMEËRS.

Sirtis. Twee groot vlak baaie aan die kus van Libië, Noord-Afrika. In die ou tyd was see-manne bang om daar te vaar omdat daar bedrieglike sandbanke was wat heeltyd geskuif het as gevolg van die getye (Han 27:17). – Sien Aanh. B13.

Siwan. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die derde maand van die Joodse godsdienskalender en die ne-gende maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Mei begin en in die middel van Junie geëindig (Est 8:9). – Sien Aanh. B15.

Sjeminit. 'n Musiekterm wat letterlik “die agtste” beteken en wat moontlik na 'n lae musikale register verwys. In die geval van musiekinstrumente verwys die woord waarskynlik na instrumente waarmee bas-tone gespeel word. In die geval van liedere verwys dit moontlik na musiekbegeleiding en sang in 'n lae register. – 1Kr 15:21; Ps 6:Ops; 12:Ops.

Sjeool. 'n Hebreeuse woord wat dieselfde beteken as die Griekse woord “Hades”. Dit word as “Graf” (met 'n hoofletter) vertaal om duidelik te maak dat dit die gemeenskaplike graf van die mensdom is en nie 'n individuele graf nie. – Ge 37:35; Ps 16:10; Han 2:31 (voetnote).

Skaamtelose gedrag. Van die Griekse woord *a-sel/gei-a*, wat verwys na daad wat 'n ernstige skending van God se wette is en wat 'n skaamtelose gesindheid weerspieël, 'n gesindheid wat dui op 'n gebrek aan respek of selfs minagting vir gesag, wette en standarde. Die uitdrukking verwys nie na verkeerde gedrag van 'n geringe aard nie. – Ga 5:19; 2Pe 2:7.

Skatting. Betaling wat een land of regeerder aan 'n ander gee as 'n teken van onderworpenheid of in ruil vir vrede of beskerming (2Kn 3:4; 18:14-16; 2Kr 17:11). Die woord word ook gebruik om te verwys na 'n soort belasting wat deur individue betaal moes word. – Ne 5:4; Ro 13:7.

Skrif. Die heilige geskrifte van God se Woord. Die uitdrukking kom net in die Christelike Griekse Geskrifte voor. – Lu 24:27; 2Ti 3:16.

Skrifgeleerde. Dit verwys na 'n spesifieke groep manne wat kenners van die Wet was. Hulle het Jesus teëgestaan. – Mr 12:38, 39; 14:1.

Skuldoffer. 'n Offerande vir iemand se eie sondes. Dit was ietwat anders as ander sonde-offers, want die doel daarvan was om 'n berouvolle persoon van straf vry te stel en hom weer sekere regte te gee wat hy onder die Wetsverbond gehad het, maar as gevolg van 'n sonde verloor het. – Le 7:37; 19:22; Jes 53:10.

Slingervel. 'n Strook leer of 'n band wat van senings, riete of hare gevleg is. In die breër middelste gedeelte is 'n klip of iets anders geplaas wat weggeslinger kon word. Die een punt is aan die hand of gewrig vasgebind, en die ander punt is in die hand vasgehou en losgelaat nadat die slingervel geswaai is. In die ou tyd het nasies slingerars in hulle leëmagte gehad. – Rig 20:16; 1Sa 17:50.

Snuifers. Gereedskap van goud, wat moontlik soortgelyk was aan 'n tang, wat in die tabernakel en die tempel gebruik is om die lampe te blus. – Eks 37:23.

Sonde-offer. 'n Offer wat gebring is vir onopsetlike sonde wat gepleeg is weens die swakheid van die onvolmaakte vlees. Verskeie diere, van 'n bul tot 'n duif, kon as offerandes gebring word, afhange van die finansiële posisie en omstandighede van die persoon vir wie se sonde versoening gedoen is. – Le 4:27, 29; Heb 10:8.

Span. 'n Lengtemaat wat om en by so lank is soos die afstand tussen die punt van die duim en die punt van die pinkie wanneer die hand uitgesprei is. Gebaseer op die el van 44,5 cm sou 'n span 22,2 cm lank wees (Eks 28:16; 1Sa 17:4). – Sien Aanh. B14.

Spelt. 'n Minderwaardige soort koring (*Triticum spelta*), waarvan die korrels nie maklik van die doppe losgemaak kan word nie. – Eks 9:32.

Spiritisme. Die opvatting dat die gees van 'n dooie persoon voortleef ná die dood van die fisiese liggaam en dat dit met die lewendes kan kommunikeer, veral deur middel van 'n persoon ('n medium) wat ontvanklik is vir hulle invloed. Die Griekse woord vir “spiritisme” is *far-ma-ki'a*, wat letterlik “die gebruik van medisyne of dwelms” beteken. Hierdie term is later met spiritisme verbind omdat dwelms in die ou tyd gebruik is wanneer mense die mag van die demone probeer verkry het om towery te beoefen. – Ga 5:20; Op 21:8.

Spiritistiese medium. 'n Persoon wat beweer dat hy met die dooies praat. – Le 20:27; De 18:10-12; 2Kn 21:6 (voetnote).

Spreek; spreekwoord. 'n Wyse gesegde of kort verhaal wat 'n les of 'n diep waarheid in 'n paar woorde oordra. 'n Bybelse spreuk is soms in die vorm van 'n raaisel. 'n Spreek gebruik beeldspraak, dikwels 'n metafoer, om 'n waarheid oor te dra. Party spreekwoorde het algemene uitdrukkings geword wat gebruik is om te spot of om minagting uit te druk. – Pr 12:9; 2Pe 2:22.

Sprinkane. 'n Verskeidenheid sprinkane wat in groot swerms migreer. Onder die Wet van Moses was dit as rein beskou en kon dit geëet word. Groot swerms wat alles in hulle pad opgevrete het en groot skade aangerig het, is as 'n plaag beskou. – Eks 10:14; Mt 3:4.

Stad van Dawid. Die naam wat aan die stad Jebus gegee is nadat Dawid dit verower het en sy koninklike woning daar gebou het. Die stad is ook Sion genoem en was die suidoostelike deel en ook die oudste deel van Jerusalem. – 2Sa 5:7; 1Kr 11:4, 5.

Stelsel(s) van dinge. 'n Vertaling van die Griekse woord *ai-on* wanneer dit verwys na toestande of na kenmerke wat 'n seker tydperk of era identifiseer. "Die teenswoordige stelsel van dinge" verwys na die oorheersende toestande in die wêreld en na 'n wêreldse lewenswyse (2Ti 4:10, vtn.). Deur middel van die Wetsverbond het God 'n stelsel van dinge tot stand gebring wat die Israelitiese of Joodse tydperk genoem kan word. Deur middel van die losprysoffer is Jesus Christus deur God gebruik om 'n ander stelsel van dinge tot stand te bring, 'n stelsel wat hoofsaaklik te doen gehad het met die gemeente van gesalfde Christene. In hierdie nuwe tydperk het die dinge wat deur die Wetsverbond voorafgeskadu is, 'n werklikheid geword. Wanneer die Griekse woord in die meervoud voorkom, verwys dit na die verskillende stelsels van dinge, of oorheersende toestande, wat al bestaan het of nog sal bestaan. – Mt 24:3; Mr 4:19; Ro 12:2; 1Kor 10:11 (voetnote).

Sterrevoorspeller. 'n Sterrevoorspeller, of astroloog, is iemand wat die bewegings van die son, maan en sterre bestudeer om die toekomst te voorspel. – Da 2:27; Mt 2:1.

Stoïsynse filosowe. 'n Griekse groep filosowe wat geglo het dat 'n mens in ooreenstemming met logiese denke en die natuur moet lewe om gelukkig te wees. Volgens hulle het pyn of plesier geen invloed gehad op 'n persoon wat waarlik wys is nie. – Han 17:18.

Strydwa. 'n Voertuig met twee wiele wat deur perde getrek is en hoofsaaklik in oorlog gebruik is. – Eks 14:23; Rig 4:13; Han 8:28.

Suurdeeg. 'n Stukkie gegiste deeg wat by deeg of vloeistof gevoeg word om dit te laat gis. Word dikwels in die Bybel gebruik as 'n simbool van sonde of verdorwenheid en ook as 'n aanduiding van groei wat onsigbaar is, maar oral deurdring. – Eks 12:20; Mt 13:33; Ga 5:9.

Swaershuwelik. 'n Gebruik wat later deel van die Wet van Moses geword het. As 'n man gesterf het sonder om 'n seun agter te laat, het sy broer met die weduwee getrou om kinders voort te bring en die geslagslyn van sy broer voort te sit. – Ge 38:8; De 25:5.

Swamsiekte. Enige van 'n aantal parasitiese plantsiektes wat deur swamme veroorsaak word. Volgens party was die swamsiekte wat in die Bybel genoem word, swart stamroes (*Puccinia graminis*). – 1Kn 8:37.

T

Tabernakel. 'n Vervoerbare tent van aanbidding wat Israel ná die uittog uit Egipte gebruik het. Die verbondsark van Jehovah, wat God se teenwoordigheid voorgestel het, was in die tabernakel, wat gedien het as 'n plek vir offerandes en aanbidding. Dit word soms ook "die tent van samekoms" genoem. Dit het bestaan uit 'n raamwerk van houtpanele wat bedek is met linnedoeke waarop gerubs geborduur was. Die tabernakel is in twee vertrekke verdeel: die Heilige en die Allerheiligste (Jos 18:1; Eks 25:9). – Sien Aanh. B5.

Talent. Die grootste Hebreuse gewigsmat en geldeenheid. 'n Talent was 34,2 kg. 'n Griekse talent was kleiner, omtrent 20,4 kg (1Kr 22:14; Mt 18:24). – Sien Aanh. B14.

Tammus. (1) Die naam van 'n god oor wie afvallige Hebreuse vroue in Jerusalem gehuil het. Volgens party was Tammus 'n koning wat ná sy dood as 'n god aanbid is. Tammus word in Sumeriese geskrifte Dumasi genoem en was die metgesel of minnaar van die vrugbaarheidsgodin

Inanna (die Babiloniese Ishtar) (Ese 8:14). (2) Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die vierde maanmaand van die Joodse godsdienskalender en die tiende maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Junie begin en in die middel van Julie geëindig. – Sien Aanh. B15.

Tarsis-skepe. Dit het aanvanklik verwys na skepe wat na eertydse Tarsis (hedendaagse Spanje) gevaar het. Later het die term blykbaar verwys na groot skepe wat groot afstande kon aflê. Salomo en Josafat het sulke skepe gebruik om handel te dryf. – 1Kn 9:26; 10:22; 22:48.

Tartarus. 'n Term wat in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik word en na 'n verlaagde toestand van gevangenskap verwys. Die ongehoorsame engele van Noag se dag is in Tartarus gegooi. In 2 Petrus 2:4 word die werkwoord *tarta-ro'o* (om "in Tartarus te gooi") gebruik. Dit beteken nie dat "die engele wat gesondig het", in die heidense mitologiese Tartarus (dit wil sê 'n ondergrondse tronk en plek van duisternis vir die mindere gode) gegooi is nie. Dit dui eerder daarop dat God hulle hemelse posisie en voorregte weggeneem het en hulle verlaag het tot 'n toestand van diep verstandelike duisternis sodat hulle God se helder voornemens nie kan verstaan nie. Volgens die Bybel wag duisternis ook in die toekoms op hulle – ewige vernietiging saam met hulle heerser, Satan die Duiwel. Tartarus verwys na die uiters lae toestand waarin hierdie opstandige engele is. Dit is nie dieselfde as "die afgrond" waarvan Openbaring 20:1-3 praat nie.

Tebet. Ná die Babiloniese ballingskap was dit die naam van die tiende maand van die Joodse godsdienskalender en die vierde maand van die sekulêre kalender. Dit het in die middel van Desember begin en in die middel van Januarie geëindig. Daar word oor die algemeen net daarna verwys as "die tiende maand" (Est 2:16). – Sien Aanh. B15.

Teenwoordigheid. In sekere kontekste in die Christelike Griekse Geskrifte verwys hierdie woord na Jesus Christus se koninklike teenwoordigheid, wat begin het toe hy as die Messiaanse Koning in die hemel gekroon is en wat gedurende die laaste dae van hierdie wêreld voortduur. Christus se teenwoordigheid verwys na 'n spesifieke tyd-

perk. Dit verwys nie daarna dat hy kom en kort daarna vertrek nie. – Mt 24:3.

Teken. 'n Voorwerp, daad, situasie of ongewone verskynsel wat 'n aanduiding is van iets anders in die hede of die toekoms. – Ge 9:12, 13; 2Kn 20:9; Mt 24:3; Op 1:1.

Tempel. Die permanente gebou in Jerusalem wat die vervoerbare tabernakel vervang het as die Israëliete se sentrum van aanbidding. Die eerste tempel is deur Salomo gebou en is deur die Babiloniërs vernietig. Die tweede tempel is deur Serubbabel gebou nadat die Jode uit Babiloniese ballingskap teruggekeer het. Dit is later deur Herodes die Grote herbou. In die Bybel word die tempel dikwels net "die huis van Jehovah" genoem (Esr 1:3; 6:14, 15; 1Kr 29:1; 2Kr 2:4; Mt 24:1). – Sien Aanh. B8 en B11.

Tent van samekoms. 'n Uitdrukking wat gebruik word vir Moses se tent sowel as vir die heilige tabernakel wat oorspronklik in die wildernis opgerig is. – Eks 33:7; 39:32.

Terafim. Huisgode of afgodsbeelde, wat soms geraadpleeg is vir tekens (Ese 21:21). Party het die vorm en grootte van 'n mens gehad, terwyl ander baie kleiner was (Ge 31:34; 1Sa 19:13, 16). Argeologiese opgrawings in Mesopotamië dui daarop dat die besit van die terafim-beelde 'n invloed gehad het op wie die erfdeel van die familie sou kry. (Dit is moontlik waarom Ragel haar pa se terafim-beeldjies gevat het.) Dit was blykbaar nie in Israel die geval nie, maar terafim-beelde is wel in afgodediens gebruik in die dae van die rigters en die dae van die konings. Terafim-beelde was onder die dinge wat getroue koning Josia vernietig het. – Rig 17:5; 2Kn 23:24; Ho 3:4.

Tiende. 'n Tiende, of 10 persent (van landbouprodukte, diere of geld), wat bygedra is of as skatting betaal is, veral vir godsdiensdoeleindes (Mal 3:10; De 26:12; Mt 23:23). Onder die Wet van Moses is daar jaarliks 'n tiende van die opbrengs van die land en 'n tiende van die kalwers en lammers wat gedurende die jaar gebore is, aan die Leviete gegee om hulle te onderhou. Die Leviete het 'n tiende van hierdie tiende aan die Aäronitiese priesterdom gegee om hulle te onderhou. Daar was ook ander tiendes. Daar word nie van Christene vereis om tiendes te gee nie.

Tisjri. – Sien ETANIM en Aanh. B15.

Toegewydheid aan God. Ontslag vir, aanbidding van en diens aan Jehovah God, met lojaliteit aan sy universele soewereiniteit. – 1Ti 4:8; 2Ti 3:12.

Toewydingsfees. Die jaarlikse herdenking van die reiniging van die tempel nadat dit deur Antiochos Epifanes onheilig is. Die viering het op 25 Kislef begin en was agt dae lank. – Joh 10:22.

Toonbrode. – Sien OFFERBRODE.

Towery; toorkuns. Die gebruik van krag wat van bese geeste afkomstig is. – 2Kr 33:6; Mi 5:12.

Treur. 'n Uiting van hartseer oor iemand se dood of 'n ander soort tragedie. In Bybeltye was dit gebruiklik om 'n tyd lank te treur. Mense wat getreur het, het hard gehuil, spesiale klere gedra, as op hulle kop gesit, hulle klere geskeur en op hulle bors geslaan. Mense is soms gehuur om by begravinge te treur. – Ge 23:2; Est 4:3; Op 21:4.

Treurlied. 'n Lied of musiekstuk waarin uiting gegee word aan diepe hartseer, byvoorbeeld as gevolg van die dood van 'n vriend of 'n geliefde. Ook 'n klaaglied genoem. – 2Sa 1:17; Ps 7:Ops.

Trompet. 'n Blaasinstrument wat van metaal gemaak is en gebruik is om seine te gee en musiek te maak. Volgens Numeri 10:2 het Jehovah beveel dat twee silwertrompette gemaak moes word waarmee spesifieke seine gegee moes word om die Israëliete bymekaar te roep, om die kampe te laat oorbreek of om oorlog aan te kondig. Hierdie trompette was waarskynlik reguit trompette, in teenstelling met die geboë "horings" wat van dierehorings gemaak is. Die musikinstrumente by die tempel het ook trompette ingesluit, maar die Bybel sê nie hoe of waarvan dit gemaak is nie. Die geluid van trompette word dikwels in simboliese sin in die Bybel gebruik wanneer Jehovah se oordele of ander belangrike gebeurtenisse bekend gemaak is. – 2Kr 29:26; Esr 3:10; 1Kor 15:52; Op 8:7–11:15.

Tulband. 'n Doek wat om die kop gedraai is as 'n hoofbedekking. Die hoëpriester het 'n tulband van fyn linne gedra. 'n Goue plaat was met 'n blou toutjie aan die voorkant daarvan vasgemaak. Die koning het 'n tulband onder sy kroon gedra. Job het sy geregtigheid met 'n tulband vergelyk. – Eks 28:36, 37; Job 29:14, vtn.; Ese 21:26.

U

Urim en Tummim. Voorwerpe wat die hoëpriester gebruik het, amper soos lootjies, om in sake van nasionale belang vas te stel wat Jehovah se wil is. Die Urim en Tummim is in die borsstuk van die hoëpriester gesit wanneer hy in die tabernakel ingegaan het. Nadat die Babiloniërs Jerusalem vernietig het, is dit blykbaar nie meer gebruik nie. – Eks 28:30; Ne 7:65.

V

Vaam. 'n Lengtemaat om te meet hoe diep water is, gelyk aan 1,8 m (Han 27:28). – Sien Aanh. B14.

Vas. Om gedurende 'n beperkte tydperk niks te eet nie. Die Israëliete het gevas op die Versoendag, wanneer hulle deur moeilike tye gegaan het en wanneer hulle God se leiding nodig gehad het. Die Jode het elke jaar vier keer gevas om rampspoedige gebeure in hulle geskiedenis te herdenk. Daar word nie van Christene vereis om te vas nie. – Esr 8:21; Jes 58:6; Lu 18:12.

Verbond. 'n Formele ooreenkoms, of kontrak, tussen God en mense of tussen twee menslike partye om iets te doen of nie te doen nie. Soms was net een party verantwoordelik om die bepaling na te kom ('n eensydige verbond, wat basies 'n belofte was). Ander kere moes albei partye bepalinge nakom ('n tweesydige verbond). Behalwe verbonde wat God met mense gemaak het, noem die Bybel verbonde tussen individue, stamme, nasies of groepe mense. Van die verbonde wat 'n verreikende uitwerking gehad het, was dié wat God gemaak het met Abraham, Dawid, die nasie Israel (Wetsverbond) en die Israel van God (nuwe verbond). – Ge 9:11; 15:18; 21:27; Eks 24:7; 2Kr 21:7.

Versoen; versoening. In die Hebreeuse Geskrifte hou die konsep verband met offerandes wat gebring is sodat mense God kon nader en aanbid. Onder die Wet van Moes is offerandes veral op die jaarlikse Versoendag gebring om versoening met God moontlik te maak ten spyte van die sondes van individue en die hele nasie. Hierdie offerandes het vooruitgewys na Jesus se offerande, wat eens en vir altyd 'n algehele versoening vir die mensdom se sondes gedoen het en mense die geleentheid gee om met Jehovah versoen te word. – Le 5:10; 23:28; Kol 1:20; Heb 9:12.

Versoendag. Die Israeliete se belangrikste heilige dag, ook Jom Kippoer genoem (van die Hebreuse uitdrukking *johm hak-kippoe-rim'*, "dag van die bedekkings"), wat op 10 Etanim gehou is. Dit was die enigste dag van die jaar waarop die hoëpriester in die Allerheiligste van die tabernakel en later van die tempel ingegaan het. Daar het hy die bloed van die offerandes vir sy sondes, die sondes van die ander Leviete en die sondes van die volk geoffer. Op hierdie dag is 'n heilige byeenkoms gehou en is daar gevas. Dit was ook 'n sabbat, 'n dag waarop geen gewone werk gedoen moes word nie. – Le 23:27, 28.

Versoendeksel. Die deksel van die verbondsark. Op die Versoendag het die hoëpriester die bloed van sonde-offers voor die deksel gesprinkel. Die Hebreuse term kom van 'n werkwoord wat "om (sonde) te bedek" of moontlik "om (sonde) weg te vee" beteken. Dit was van soliede goud gemaak, en daar was twee gerubs op die deksel, een aan elke kant. Dit word soms net "die deksel" genoem (Eks 25:17-22; 1Kr 28:11, vtn.; Heb 9:5). – Sien Aanh. B5.

Vloek; vervloek. Om iemand kwaad toe te wens of om iets slegs oor iemand of iets uit te spreek. Dit is nie dieselfde as om vloektaal te gebruik nie. Dit was dikwels 'n formele uitspraak of voorspelling van iets slegs. Wanneer God of 'n bevoegde persoon dit gedoen het, het dit 'n profetiese betekenis en krag gehad. – Ge 12:3; Nu 22:12; Ga 3:10.

Voleinding van die stelsel van dinge. Die tydperk voor die einde van die stelsel van dinge, of wêreldstelsel, wat deur Satan oorreeds word. Dit dek dieselfde tydperk as die teenwoordigheid van Christus. Onder Jesus se leiding sal engele "die goddeloses van die regverdige skei" en hulle vernietig (Mt 13:40-42, 49). Jesus se dissipels wou weet wanneer hierdie "voleinding" sou wees (Mt 24:3, vtn.). Voordat hy na die hemel teruggekeer het, het hy sy volgelinge belowe dat hy tot daardie tyd met hulle sou wees. – Mt 28:20.

Vorbereidingsdag. Die dag voor die Sabbat waarop die Jode voorbereidings getref het vir die Sabbat. Die dag het geëindig teen sonder op die dag wat nou Vrydag genoem word. Daarna het die Sabbat begin.

'n Joodse dag het met sonder begin en het die volgende sonder geëindig. – Mr 15:42; Lu 23:54.

Voorhof. Die oop gedeelte rondom die tabernakel wat met gordyne afgeskerf is, en later een van die ommuurde, oop terreine rondom die hoofgebou van die tempel. Die brandofferaltaar het in die voorhof van die tabernakel gestaan en in die binneste voorhof van die tempel (Eks 27:9; 1Kn 7:12). – Sien Aanh. B5, B8, B11.

Vrede-offer. 'n Offer wat vir Jehovah aangebied word as 'n versoek om vrede met hom te hê. Die aanbieder en sy huisgesin, die priester wat die offer aangebied het en die priesters wat aan diens was, het daarvan geëet. Jehovah het in 'n figuurlike sin die aangename geur van die verbrande vet ontvang. Die bloed, wat die lewe verteenwoordig, is ook aan hom gegee. Dit was asof die priesters en die aanbidders saam met Jehovah aan tafel was, wat 'n vreedsame verhouding gesimboliseer het. – Le 7:29, 32; De 27:7.

Vryman; vrygelatene. Gedurende die Romeinse heerskappy was 'n "vryman" iemand wat vry gebore is en volle burgerregte geniet het. In teenstelling hiermee was 'n "vrygelatene" 'n voormalige slaaf. As 'n vrygelatene formeel vrygelaat is, het hy Romeinse burgerskap ontvang, maar hy kon nie 'n politieke amp beklee nie. As hy informeel vrygelaat is, was hy nie meer 'n slaaf nie, maar het hy nie volle burgerregte geniet nie. – 1Kor 7:22.

Vrystede. Levitiese stede waar 'n persoon wat iemand onopsetlik doodgemaak het, beskerming kon soek teen die bloedwreker. Onder Jehovah se leiding is ses sulke stede, wat regoor die Beloofde Land versprei is, deur Moses en later deur Josua aangewys. Wanneer iemand 'n vrystad bereik het, moes hy sy saak aan die ouermanne by die stadspoort verduidelik en is hy gasvry ontvang. Om te voorkom dat opsetlike moordenaars hierdie reëling misbruik, moes die persoon wat beskerming kom soek het, verhoor word in die stad waar die voorval plaasgevind het, sodat hy sy onskuld kon bewys. As die persoon onskuldig bevind is, is hy teruggestuur na die vrystad, en hy moes vir die res van sy lewe of tot die dood van die hoëpriester binne die grense van

die stad bly. – Nu 35:6, 11-15, 22-29; Jos 20:2-8.

Vuurbakke; vuurbakkies. Voorwerpe van goud, silwer of koper wat by die tabernakel en die tempel gebruik is om reukwerk te brand en om kole van die altaar en uitgebrande lamppitte van die goue lampstaander te verwyder. – Eks 37:23; 2K 26:19; Heb 9:4.

W

Wadi. Die vallei of bedding van 'n stroom wat gewoonlik droog is, behalwe gedurende die reënseisoen. Dit kan ook verwys na die stroom self. Party strome is deur waterbronne gevoed en het dus nooit opgedroog nie. – Ge 26:19; Nu 34:5; De 8:7; 1Kn 18:5; Job 6:15.

Wag. Iemand wat, dikwels gedurende die nag, oor mense en eiendom wag hou en waarsku as gevaar dreig. Wagte het dikwels op die stadsmure en torings gestaan sodat hulle mense van ver af kon sien aankom. Wagte is ook in die leëmag gebruik. Profete het in figuurlike sin as wagte vir die nasie Israel gedien en het gewaarsku teen naderende vernietiging. – 2Kn 9:20; Ese 3:17.

Wal. In Hebreeus, "Millo", van 'n grondwoord wat "opvulling" beteken. Die *Septuagint* vertaal dit as "vesting". Dit was waarskynlik 'n geografiese of boukundige kenmerk van die Stad van Dawid, maar daar is nie sekerheid oor presies wat dit was nie. – 2Sa 5:9; 1Kn 11:27.

Wapenrusting. Die beskermende uitrusting wat deur soldate gedra is, naamlik helm, pantser, lyfband, beenskutte en skild. – 1Sa 31:9; Ef 6:13-17.

Ware God. 'n Vertaling van die Hebreeuse uitdrukking vir "die God". In baie gevalle dui die gebruik van die bepaalde lidwoord ("die") in hierdie Hebreeuse uitdrukking aan dat Jehovah die enigste ware God is, in teenstelling met valse gode. In sulke gevalle dra die uitdrukking "die ware God" die volle betekenis oor van die Hebreeuse uitdrukking. – Ge 5:22, 24; 46:3; De 4:39.

Weg. 'n Uitdrukking wat figuurlik in die Bybel gebruik word om te verwys na 'n lewenswyse of handelswyse wat Jehovah goedkeur of afkeur. Daar is gesê dat Jesus Christus se volgelinge aan "Die Weg" behoort het omdat hulle 'n lewensweg gevolg het wat om geloof in Jesus Christus gedraai het en sy voorbeeld gevolg het. – Han 19:9.

Wet. Wanneer hierdie woord met 'n hoofletter geskryf word, verwys dit dikwels na die Wet van Moses of na die eerste vyf boeke van die Bybel. Wanneer dit met 'n kleinletter geskryf word, kan dit na afsonderlike wette van die Wet van Moses of 'n wetlike beginsel verwys. – Nu 15:16; De 4:8; Mt 7:12; Ga 3:24.

Wierook. Uitgedroogde sap (gomhars) van bome en bosse van sekere spesies van die genus *Boswellia*. Wanneer dit gebrand is, het dit 'n soet reuk afgegee. Dit was 'n bestanddeel van die heilige reukwerk wat by die tabernakel en die tempel gebruik is. Dit is ook saam met graanoffers geoffer en is op elke ry van die offerbrode in die Heilige geplaas. – Eks 30:34-36; Le 2:1; 24:7; Mt 2:11.

Wonderwerke. Dade of verskynsels wat alle kragte wat aan mense bekend is, te bowe gaan en aan 'n bonatuurlike oorsaak toegeskryf word. Uitdrukkings soos "kragtige werke" en "tekens" word soms as sinonieme in die Bybel gebruik. – Eks 4:21; Han 4:22; Heb 2:4.

Wynpers. Gewoonlik twee holtes (vate) wat in natuurlike kalksteen uitgekap is. Die een was hoër as die ander, en hulle is deur 'n kanaaltjie verbind. Wanneer die druiwe in die boonste holte gepars is, het die sap in die onderste holte ingevloei. Die woord word figuurlik gebruik in verband met God se oordeel. – Jes 5:2; Op 19:15.

Wynsak. Sak waarin wyn bewaar is en wat van die hele vel van 'n dier, soos 'n skaap of 'n bok, gemaak is. Wyn is in nuwe wynsakke gesit, want wanneer wyn gis, stel dit koolstuurgas vry wat drukking in die sak veroorsaak. Nuwe wynsakke kan uitsit, maar oues is nie meer elasties nie en bars weens die drukking. – Jos 9:4; Mt 9:17.

Z

Zeus. Die hoogste god van al die gode wat die Grieke aanbid het. In Listra het mense gedink dat Barnabas Zeus is. Eertydse in-skripsies wat naby Listra gevind is, verwys na "priesters van Zeus" en "Zeus die son-god". Die skip waarop Paulus van die eiland Malta af gereis het, het beelde van die tweelingbroers Castor en Pollux, die seuns van Zeus, aan die voorkant gehad. – Han 14:12; 28:11.

Aanhangsel A

Beginsels van Bybelvertaling	A1
Kenmerke van hierdie uitgawe	A2
Hoe die Bybel tot in ons tyd bewaar is	A3
God se naam in die Hebreeuse Geskrifte	A4
God se naam in die Christelike Griekse Geskrifte	A5
Tabel: Profete en konings van Juda en van Israel	A6
Belangrikste gebeurtenisse van Jesus se lewe op die aarde	A7

Beginsels van Bybelvertaling

Die Bybel is oorspronklik in Ou Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf. Vandag is dit in sy geheel of gedeeltelik in meer as 3 000 tale beskikbaar. Die meeste mense wat die Bybel lees, verstaan nie die oorspronklike tale nie en moet dus 'n vertaling gebruik. Watter beginsels moet gevolg word wanneer die Bybel vertaal word? Hoe is hierdie beginsels toegepas in die *Nuwe Wêreld-vertaling*?

Party mense dink dat 'n letterlike, woord-vir-woord-vertaling, 'n soort interlineêre vertaling, die leser in staat sal stel om so na as moontlik te kom aan wat in die oorspronklike taal gesê is. Maar dit is nie altyd die geval nie. Hier volg 'n paar redes waarom dit nie so is nie:

- Geen twee tale het presies dieselfde grammatika, woordeskat en sinskonstruksie nie. 'n Professor in Hebreeus, S.R. Driver, het geskryf dat tale “nie net verskil in grammatika en oorsprong nie, maar ook . . . in die manier waarop idees in 'n sin saamgestel word”. Elke taal het 'n heel ander denkpatroon. “Daarom”, sê professor Driver verder, “is die sinsbou in verskillende tale nie dieselfde nie.”
- Geen moderne taal het presies dieselfde woordeskat en grammatika as Bybelse Hebreeus, Aramees en Grieks nie, en daarom sou 'n woord-vir-woord-vertaling van die Bybel onduidelik wees of soms selfs die verkeerde betekenis oordra.
- Die betekenis van 'n woord of 'n uitdrukking kan verskil afhankende van die konteks waarin dit gebruik word.

In party gedeeltes is dit dalk vir 'n vertaler moontlik om die oorspronklike taal letterlik te vertaal, maar hy moet baie versigtig wees wanneer hy dit doen.

Hier is 'n paar voorbeelde van hoe 'n woord-vir-woord-vertaling verkeerd verstaan kan word:

- Die Bybel gebruik die woord “slaap” om te verwys na letterlike slaap sowel as die dood (Matteus 28:13; Handeling 7: 60, vtn.). Wanneer die konteks na die dood verwys, kan Bybelvertalers dit vertaal as “sterf”, wat die moderne leser help om verwarring te vermy. – 1 Korintiërs 7:39; 1 Tessalonisense 4: 13; 2 Petrus 3:4.
- Die apostel Paulus het in Efesiërs 4:14 ’n uitdrukking gebruik wat letterlik vertaal kan word met “die spel van dobbelstene van mense”. Hierdie ou idioom sinspeel op die gebruik om ander te kul wanneer daar met dobbelstene gespeel word. In die meeste tale maak ’n letterlike vertaling nie veel sin nie. Die betekenis van hierdie uitdrukking is duideliker wanneer dit as “mense wat bedrieg” vertaal word.
- In Romeine 12:11 word ’n Griekse uitdrukking gebruik wat letterlik “kokend met die gees” beteken. In Afrikaans dra hierdie bewoording nie die regte betekenis oor nie, en daarom is dit in hierdie uitgawe as “gloi van die gees” vertaal.
- Gedurende Jesus se bekende Bergpredikasie het hy ’n uitdrukking gebruik wat al vertaal is as: “Salig is die wat arm van gees is” (Matteus 5:3, *Ou Afrikaanse Bybelvertaling*). Maar in baie tale is ’n letterlike vertaling van hierdie uitdrukking onduidelik. In party gevalle kan ’n streng letterlike vertaling impliseer dat dié wat “arm van gees is” nie by hulle volle verstand is nie of ’n gebrek aan geesdrif en vasberadenheid het. Maar in hierdie geval het Jesus mense geleer dat hulle gelukkig sal wees, nie as hulle hulle fisiese behoeftes bevredig nie, maar as hulle beseft dat hulle God se leiding nodig het (Lukas 6:20). Vertalings soos “dié wat beseft dat hulle God nodig het” dra dus die betekenis van die oorspronklike uitdrukking akkurater oor. – Matteus 5:3.
- In baie kontekste het die Hebreeuse woord wat as “jaloesie” vertaal word, dieselfde algemene betekenis as die Afrikaanse woord, naamlik om kwaad te wees oor die skynbare ontrouheid van iemand wat na aan jou is of om jaloers te wees op ander as gevolg van hulle besittings (Spreuke 6:34; Jesaja 11:13). Maar dieselfde Hebreeuse woord kan ook iets positiefs beteken. Byvoorbeeld, dit kan verwys na die “ywer”, of sterk gevoel van beskerming, wat Jehovah

ΟΙ ΠΤΩΧΟΙ
ΤΩ ΠΝΕΥΜΑΤΙ

MATTEUS 5:3

Letterlik: dié wat
“arm van gees is”

Gedagte: dié wat
“beseft dat hulle
God nodig het”

vir sy knegte het, of dit kan beteken dat hy “uitsluitlike toegewydheid vereis” (Eksodus 34:14; 2 Konings 19:31; Esegieël 5:13; Sagaria 8:2). Dit kan ook verwys na die “ywer” wat God se getroue knegte vir hom en sy aanbidding het of na die feit dat hulle “geen ontrouheid aan [hom] geduld het nie”. – Psalm 69:9; 119:139; Numeri 25:11.

- Die Hebreeuse uitdrukking wat gewoonlik na die mensehand verwys, kan verskeie dinge beteken. Afhangende van die konteks kan hierdie woord vertaal word as “beheer”, “vrygewigheid” of “mag” (2 Samuel 8:3; 1 Konings 10:13; Spreuke 18:21). Om die waarheid te sê, in die *Nuwe Wêreld-vertaling* is hierdie woord op omtrent 40 verskillende maniere vertaal.

י

Die Hebreeuse woord *jadh* word gewoonlik vertaal as “hand”, maar afhangende van die konteks kan hierdie woord vertaal word as “beheer”, “vrygewigheid”, “mag”, ensovoorts

Dit is duidelik dat Bybelvertalers nie net ’n woord in die oorspronklike taal elke keer met dieselfde woord kan vertaal nie. ’n Vertaler moet goeie oordeel gebruik en woorde kies wat die beste pas by die idees in die oorspronklike taal. Dan moet die konstruksie van die vertaalde sinne ook volgens die grammatikareëls van die taal wees sodat die teks maklik lees.

Terselfdertyd moet uiterstes vermy word wanneer die teks vertaal word. ’n Vertaler wat die Bybel vryelik volgens sy interpretasie parafraseer, kan die betekenis van die teks verdraai. Hoe so? Die vertaler kan verkeerdelik sy eie opinie inbring van wat die oorspronklike teks beteken of belangrike besonderhede in die oorspronklike teks weglaat. Parafrases van die Bybel lees dalk maklik, maar omdat dit so vryelik

vertaal is, kan dit keer dat die leser die ware boodskap uit die teks kry.

Die werk van vertalers kan maklik deur hulle geloofsoortuigings beïnvloed word. Matteus 7:13 sê byvoorbeeld: “Breed is die pad wat na vernietiging lei.” Party vertalers, wat dalk deur hulle geloofsoortuigings beïnvloed is, het die woord “hel” gebruik in plaas van wat die Griekse woord werklik beteken, naamlik “vernietiging”.

’n Bybelvertaler moet ook onthou dat die Bybel geskryf is in die gewone, alledaagse taal van mense soos boere, herders en vissermanne (Nehemia 8:8, 12; Handeling 4:13). ’n Goeie vertaling van die Bybel maak die boodskap daarin dus verstaanbaar

vir opregte mense, ongeag hulle agtergrond. Dit is beter om duidelike, algemene, maklik verstaanbare uitdrukkings te gebruik eerder as woorde wat nie dikwels gebruik word nie.

Baie Bybelvertalers het onverskoonbaar opgetree deur die vryheid te neem om God se naam, Jehovah, uit moderne vertalings weg te laat, al is hierdie naam in ou Bybelmanuskripte. (Sien Aanhangel A4.) Baie vertalings vervang die naam met 'n titel soos "Here", en party probeer selfs die feit wegsteek dat God 'n naam het. Byvoorbeeld, in party vertalings sê Jesus se gebed in Johannes 17:26: "Ek het u aan hulle bekend gemaak", en in Johannes 17:6: "Ek het u bekend gemaak aan dié wat u aan my gegee het." Maar 'n betroubare vertaling van Jesus se gebed sê: "Ek het *u naam* aan hulle bekend gemaak", en: "Ek het *u naam* bekend gemaak aan die mense wat u aan my . . . gegee het."

In die voorwoord van die oorspronklike *New World Translation* staan daar: "Ons bied nie 'n geparafraseerde vertaling van die Skrif nie. Ons het regdeur die vertaling probeer om so letterlik as moontlik te vertaal, waar die moderne Engelse idioom dit toelaat en waar 'n letterlike vertaling nie veroorsaak dat die gedagte weens 'n lomp vertaling onverstaanbaar is nie." Die New World Bible Translation Committee het dus probeer om woorde en frases te gebruik wat identies is aan die oorspronklike teks, maar om terselfdertyd bewoording te vermy wat lomp is of die gedagte onverstaanbaar maak. Gevolglik is die Bybel maklik om te lees en kan die leser die volle vertroue hê dat die geïnspireerde boodskap daarin getrou oorgedra is. – 1 Tessalonisense 2:13.

'n Betroubare vertaling moet:

- God se naam heilig deur dit terug te sit op die plekke in die Bybel waar dit hoort. – Matteus 6:9.
- Die oorspronklike boodskap wat deur God geïnspireer is, akkuraat oordra. – 2 Timoteus 3:16.
- Die betekenis van woorde letterlik vertaal wanneer die bewoording en konstruksie van die oorspronklike teks so 'n vertaling moontlik maak.
- Die korrekte betekenis van 'n woord of 'n uitdrukking oordra wanneer 'n letterlike vertaling die betekenis sal verdraai of onverstaanbaar sal maak.
- Natuurlike, maklik verstaanbare taal gebruik wat mense sal wil lees. – Nehemia 8:8, 12.

Kenmerke van hierdie uitgawe

Die *New World Translation of the Christian Greek Scriptures* is in 1950 in Engels vrygestel, en die volledige *New World Translation of the Holy Scriptures* is in 1961 vrygestel. Sedert daardie tyd het tienmiljoene lesers in meer as 210 tale baat gevind by hierdie akkurate en tog leesbare Bybel wat uit die oorspronklike tale vertaal is.

Oor die afgelope halfeeue het tale egter verander. Die huidige New World Bible Translation Committee het besef dat dit nodig is om op hierdie veranderinge te reageer om die harte van lesers in hierdie tyd te raak. Daarom is daar in hierdie uitgawe 'n aantal veranderinge in die styl en woordeskat aangebring, met die volgende doelwitte:

- **Moderne, verstaanbare taal.** Die woord “lankmoedigheid” is byvoorbeeld nie so bekend nie en is moeilik om te verstaan. Daarom is dit vervang met die woord “geduld,” wat dieselfde gedagte duideliker oordra (Galasiërs 5:22). Woorde wat verouderd is, soos “toorn” en “gramskap,” is vervang met bekender woorde, soos “woede” (Efesiërs 4:31). Die woord “hoer” is verander na “prostituut” (Genesis 38:15). In hierdie uitgawe is “hoerery” oor die algemeen vertaal as “seksuele onsedelikheid”; “losbandigheid” as “skaamtelose gedrag”; en “swelgerye” as “wilde partytjies” (Galasiërs 5:19-21). Om die regte betekenis in elke konteks oor te dra, is die uitdrukking “onbepaalde tyd” vervang met uitdrukkings soos “vir ewig,” ‘permanent’, “ewigheid” of “lank gelede”. – Genesis 3:22; Eksodus 31:16; Psalm 90:2; Prediker 1:4; Miga 5:2.

Die woord “saad” in Ou Hebreeus en Grieks kan na die saad van plante verwys, sowel as na die nakomelinge van mense of na sperm. Omdat die woord “saad” nie meer dikwels in Afrikaans gebruik word om na mense te verwys nie, is dit vervang met woorde wat die regte betekenis volgens die konteks oordra (Genesis 1:11; 22:17; 48:4; Matteus 22:24; Johannes 8:37). In die meeste gevalle word die woord “nageslag” nou gebruik om te verwys na die Edeniese belofte, wat in Genesis 3:15 gevind word.

- **Bybelse uitdrukkings duidelik weergegee.** Party uitdrukkings in die vorige uitgawe van die *Nuwe Wêreld-vertaling* moes dik-

wels verduidelik word sodat dit reg verstaan kon word. Byvoorbeeld, die Hebreeuse woord “Sjeool” en die Griekse woord “Hades” word in die Bybel gebruik om na die gemeenskaplike graf van die mensdom te verwys. Baie mense ken nie daardie woorde nie, en “Hades” het nog ’n ander betekenis as gevolg van die gebruik daarvan in Griekse mitologie. Daarom is albei woorde vervang met wat die Bybelskrywers bedoel het, naamlik “die Graf”. Die woorde “Sjeool” en “Hades” verskyn nou in voetnote. – Psalm 16:10; Handeling 2:27.

In die vorige uitgawe is die Hebreeuse woord *ne’fesj* en die Griekse woord *psu-che’* konsekwent vertaal as “siel”. Dit is gedoen omdat daar soveel verkeerde beskouings oor die betekenis van die woord “siel” is. Hierdie benadering het die leser gehelp om te sien hoe die geïnspireerde Bybelskrywers hierdie oorspronklike woorde gebruik het. Afhangende van die konteks kan hierdie woorde verwys (1) na ’n persoon, (2) na die lewe van ’n persoon, (3) na lewende wesens, (4) na ’n persoon se begeertes en eetlus of, in party gevalle, (5) selfs na dooie persone. Maar in Afrikaans word die woord “siel” nie eintlik so gebruik nie. Daarom is daar besluit om hierdie woorde uit die oorspronklike taal te vertaal volgens hulle eintlike betekenis, met ’n voetnoot op party plekke wat sê “Of ‘siel’”. (Sien byvoorbeeld Genesis 1:20; 2:7; Levitikus 19:28; Psalm 3:2; Spreuke 16:26; Matteus 6:25.) Maar in party poëtiese of bekende kontekste is die woord “siel” in die hoofteks behou, saam met ’n voetnoot wat verwys na die Woordelys of wat ’n ander moontlike vertaling gee. – Deuteronomium 6:5; Psalm 131:2; Spreuke 2:10; Matteus 22:37.

Net so is die woord “nier” behou wanneer dit na die letterlike orgaan verwys. Maar wanneer dit figuurlik gebruik word in verse soos Psalm 7:9 en 26:2 en Openbaring 2:23, is die woord in die hoofteks vertaal as “diepste emosies” of “diepste gedagtes” en is die letterlike betekenis in ’n voetnoot.

Net soos in Hebreeus en Grieks het die woord “hart” in Afrikaans ook ’n letterlike en figuurlike betekenis, en daarom is dit gewoonlik in die hoofteks behou. Maar in ’n paar kontekste waar die betekenis nie duidelik was nie, is dit meer eksplisiet vertaal. Byvoorbeeld, in die boek Spreuke is die letterlike uitdrukking “gebrek aan hart” vertaal met uitdrukkings soos “geen verstand” en “onverstandig” (Spreuke 6:32; 7:7). Ander woorde, soos “vet”, “vlees” en “horing”, is ook volgens die konteks vertaal (Genesis 45:18; Prediker 5:6; Job 16:15). Party van hierdie woorde word in die Woordelys bespreek.

- **Beter leesbaarheid.** In die vorige uitgawe van die *Nuwe Wêreld-vertaling* is ekstra woorde soms gebruik om aan te dui of die Hebreeuse werkwoord in die voltooid of onvoltooid vorm is. Byvoorbeeld, wanneer onvoltooid werkwoorde 'n voortdurende handeling aangedui het, is dit met woorde soos “begin” en “verder” vertaal. Wanneer voltooid Hebreeuse werkwoorde klem oorgedra het, is dit aangedui deur ekstra woorde soos “beslis”, “moet” en “in werklikheid”. In hierdie uitgawe is ekstra woorde soos “bly” en “die gewoonte gehad” in sekere kontekste gebruik waar daar 'n geldige rede was om 'n voortdurende handeling aan te dui (Genesis 3:9; 34:1; Spreuke 2:4). Maar om die teks beter te laat lees, is ekstra woorde wegge laat wanneer hierdie woorde nie noodsaaklik was om die oorspronklike betekenis oor te dra nie.
- **Die regte gedagte wanneer dit kom by woorde wat geslag aandui.** Selfstandige naamwoorde in Hebreeus en Grieks kan manlik of vroulik wees, en in Grieks kan dit ook geslagloos wees. Maar soms maak dit die betekenis onduidelik wanneer die geslag van die Hebreeuse of Griekse woord aangedui word. In Hebreeus en Grieks is die meervoudsvorm van selfstandige naamwoorde gewoonlik manlik, nie net wanneer dit na mans verwys nie, maar ook wanneer dit na mans en vrouens verwys. Byvoorbeeld, al verwys die uitdrukking “die seuns van Israel” soms na die 12 seuns van Jakob, verwys dit meestal na die hele nasie Israel, mans sowel as vrouens (Genesis 46:5; Eksodus 35:29). In dié uitgawe is hierdie frase dus dikwels as “Israeliete” vertaal om aan te dui dat dit na die hele nasie verwys. Net so is die uitdrukking “vaderlose seun” as “vaderlose kind” of “weeskind” vertaal om aan te dui dat dit na 'n seun of 'n dogter kan verwys. Maar omdat die Bybel die manlike vorm gebruik om na God en sy Seun te verwys, sowel as na verskeie engele en demone, is daar geen rede om geslaglose terme te gebruik soos daar in party moderne vertalings gedoen word nie.

Alle aanpassings in hierdie Bybel is biddend en noukeurig gemaak, en met diep respek vir die goeie werk van die oorspronklike New World Bible Translation Committee.

Ander kenmerke van hierdie uitgawe:

Daar is 'n aantal voetnote in hierdie uitgawe van die Bybel. Die voetnote val oor die algemeen in die volgende kategorieë:

- “Of” 'n Alternatiewe vertaling wat dieselfde gedagte van die Hebreeus, Aramees of Grieks oordra.
– Genesis 1:2, voetnoot by “werkende krag”;
Josua 1:8, “nadink”.

“Of moontlik”	’n Alternatiewe vertaling wat ’n ander geldige gedagte oordra. – Genesis 21:6, “saam met my lag”; Sagaria 14:21, “Kanaäniet”.
“Lett.”	’n Woord-vir-woord-vertaling uit Hebreeus, Aramees of Grieks of die basiese betekenis van ’n uitdrukking in die oorspronklike taal. – Genesis 30:22, “om swanger te word”; Eksodus 30:8, “skemer”.
Betekenis en agtergrondinligting	Betekenis van name (Genesis 3:17, “Adam”; Eksodus 15:23, “Mara”); besonderhede oor gewigte en mate (Genesis 6:15, “el”); die antesedent van ’n voornaamwoord (Genesis 49:25, “Hy”); nuttige inligting in die Aanhangel en Woordelys. – Genesis 37:35, “Graf”; Matteus 5:22, “Gehenna”.

Voorin hierdie Bybel verskyn die deel “’n Inleiding tot God se Woord”, met ’n oorsig van basiese Bybelleringe. Reg ná die laaste Bybelboek is die “Tabel van Bybelboeke”, die “Indeks van Bybelwoorde” en die “Woordelys”. Die Woordelys help die leser om sekere uitdrukkings in die Bybel te verstaan. Aanhangel A bevat die volgende dele: “Beginsels van Bybelvertaling”, “Kenmerke van hierdie uitgawe”, “Hoe die Bybel tot in ons tyd bewaar is”, “God se naam in die Hebreeuse Geskrifte”, “God se naam in die Christelike Griekse Geskrifte”, “Tabel: Profete en konings van Juda en van Israel” en “Belangrikste gebeurtenisse van Jesus se lewe op die aarde”. Aanhangel B bevat kaarte, tabelle en ander inligting wat nuttig is vir ywerige Bybelstudente.

Voor elke Bybelboek is daar ’n oorsig van wat die hoofstukke en verse van daardie boek bevat. Die kolom in die middel van elke bladsy bevat die mees relevante kruisverwysings uit die vorige uitgawe.

Hoe die Bybel tot in ons tyd bewaar is

Die Bron en Outeur van die Bybel is ook die Een wat gesorg het dat dit tot in ons tyd bewaar is. Hy het hierdie woorde laat opteken:

“Die woord van ons God bly vir ewig.”

– Jesaja 40:8.

Hierdie woorde is waar, al is geen oorspronklike Bybelmanuskrip van die Hebreeuse en Aramese Geskrifte* of van die Christelike Griekse Geskrifte tot in ons tyd bewaar nie. Hoe kan ons dus so seker wees dat die inhoud van die Bybel wat ons nou het, ’n betroubare weergawe is van die oorspronklike geïnspireerde geskrifte?

KOPIÏSTE BEWAAR GOD SE WOORD

Wanneer dit kom by die Hebreeuse Geskrifte, kan ’n deel van die antwoord gevind word in ’n ou tradisie wat ingestel is deur God, wat gesê het dat die teks oorgeskrif moet word.[#] Jehovah het byvoorbeeld die konings van Israel beveel om hulle eie kopieë van die geskrewe Wet te maak (Deuteronomium 17:18). God het ook die Leviëte die verantwoordelikheid gegee om die Wet te bewaar en dit aan die volk te leer (Deuteronomium 31:26; Nehemia 8:7). Nadat die Jode na Babilon weggevoer is, het ’n klas kopiïste, die Soferim, ontstaan (Esra 7:6). Met verloop van tyd het daardie kopiïste verskeie kopieë van die 39 boeke van die Hebreeuse Geskrifte gemaak.

Deur die eeue heen is hierdie boeke noukeurig oorgeskrif. In die Middeleeue het ’n groep Joodse skrifgeleerdes wat as die Masorete bekend gestaan het, hierdie tradisie voortgesit. Die oudste

* Van hier af word dit die Hebreeuse Geskrifte genoem.

Een rede waarom die manuskripte oorgeskrif moes word, was omdat die oorspronklike teks op bederfbare materiale geskrif is.

volledige Masoretiese manuskrip is die Leningrad-kodeks, uit 1008/1009 HJ. Maar in die middel van die 20ste eeu is sowat 220 Bybelmanuskripte of -fragmente tussen die Dooie See-rolle ontdek. Hierdie Bybelmanuskripte is meer as 'n duisend jaar ouer as die Leningrad-kodeks. 'n Vergelyking tussen die Dooie See-rolle en die Leningrad-kodeks bevestig 'n belangrike punt: Al is die bewoording in die Dooie See-rolle op party plekke anders, verander nie een van daardie verskille die boodskap self nie.

Wat van die 27 boeke van die Christelike Griekse Geskrifte? Daardie boeke is oorspronklik deur party van Jesus Christus se apostels en 'n paar ander vroeë dissipels geskryf. Vroeë Christene het die tradisie van die Joodse skrifgeleerdes gevolg en kopieë van daardie boeke gemaak (Kolossense 4:16). Al het die Romeinse keiser Diokletianus en ander persone alle vroeë Christelike literatuur probeer vernietig, is duisende ou fragmente en manuskripte tot in ons tyd bewaar.

Christelike geskrifte is ook in ander tale vertaal. Daar is vroeëre vertalings van die Bybel in ou tale soos Armeens, Etiopies, Georgies, Kopties, Latyn en Siries.

WATTER HEBREEUSE EN GRIEKSE TEKS IS GEBRUIK?

Nie alle kopieë van ou Bybelmanuskripte het presies dieselfde bewoording nie. Hoe kan ons dan weet wat in die oorspronklike teks gesê is?

Die situasie kan vergelyk word met dié van 'n onderwyser wat 100 studente vra om 'n hoofstuk van 'n boek oor te skryf. Al gaan die oorspronklike hoofstuk later verlore, kan 'n mens nog steeds vasstel wat die oorspronklike teks gesê het deur die 100 kopieë te vergelyk. Elke student sal dalk 'n paar foute maak, maar dit is feitlik onmoontlik dat al die studente presies dieselfde foute sal maak. Net so kan geleerdes wat die duisende beskikbare fragmente en kopieë van ou Bybelboeke vergelyk, sien watter foute kopiïste gemaak het en vasstel wat die oorspronklike bewoording was.

Hoe seker kan ons wees dat die gedagtes in die oorspronklike Bybelteks akkuraat aan ons oorgedra is? Die geleerde William H. Green het die volgende oor die Hebreeuse Geskrifte gesê: "Dit is veilig om te sê dat geen ander werk van die ou tyd so akkuraat oorgedra is nie." En die Bybelgeleerde F.F. Bruce het die volgende oor die Christelike Griekse Geskrifte, of sogenaamde

"Dit is veilig om te sê dat geen ander werk van die ou tyd so akkuraat oorgedra is nie"

Hoofstuk 40 van die boek Jesaja in die Doorie See-rolle (tussen 125 en 100 VJH)

Toe dit met Hebreeuse manuskripte van sowat 'n duisend jaar later vergelyk is, is net klein verskille gevind, meestal in die spelling van woorde



Hoofstuk 40 van die boek Jesaja in die Aleppo-kodeks, 'n belangrike Hebreeuse Masoretiese manuskript uit ongeveer 930 HJ



Nuwe Testament, geskryf: “Daar is soveel meer bewyse vir ons geskryfte van die Nuwe Testament as vir baie geskryfte van klassieke skrywers, en niemand sal droom om die egtheid van hierdie klassieke werke te bevraagteken nie.” Hy het ook gesê: “As die Nuwe Testament ’n versameling van sekulêre geskryfte was, sou daar oor die algemeen geen twyfel oor die egtheid daarvan bestaan het nie.”

Hebreeuse teks: Die *New World Translation of the Hebrew Scriptures* (1953-1960) was gebaseer op die *Biblia Hebraica*, deur Rudolf Kittel. Sedert daardie tyd het bygewerkte uitgawes van die Hebreeuse teks, naamlik die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* en die *Biblia Hebraica Quinta*, onlangse navorsing ingesluit wat gebaseer is op die Dooie See-rolle en ander ou manuskripte. Hierdie werke van geleerdes bevat die Leningrad-kodeks in die hoofteks, saam met voetnote wat bewoording uit ander bronne insluit, soos die Samaritaanse Pentateug, die Dooie See-rolle, die Griekse *Septuagint*, die Aramese Targoems, die Latynse *Vulgaat* en die Siriese *Pesjitta*. Die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* sowel as die *Biblia Hebraica Quinta* is geraadpleeg toe die huidige hersiening van die *New World Translation* voorberei is.

Griekse teks: Laat in die 19de eeu het die geleerdes B.F. Westcott en F.J.A. Hort bestaande Bybelmanuskripte en -fragmente vergelyk om ’n Griekse grondteks voor te berei wat na hulle mening die naaste aan die oorspronklike geskryfte is. In die middel van die 20ste eeu het die New World Bible Translation Committee daardie grondteks vir hulle vertaling gebruik. Ander vroeë papiirusse wat moontlik uit die tweede en derde eeu HJ is, is ook gebruik. Sedert daardie tyd het nog papiirusse beskikbaar geword. Dan is daar ook grondtekste soos dié van Nestle en Aland en die United Bible Societies, wat die resultate van onlangse studies weerspieël. Van hierdie navorsing is in hierdie uitgawe gebruik.

Uit daardie grondtekste is dit duidelik dat party verse van die Christelike Griekse Geskryfte wat in ouer vertalings gevind word, soos die *King James Version*, eintlik deur latere kopiïste bygevoeg is en nooit deel van die geïnspireerde Skrif was nie. Maar omdat die indeling van verse wat oor die algemeen in Bybelvertalings aanvaar word, reeds in die 16de eeu vasgestel is, het die weglating van hierdie verse gapings in die versnommers van die meeste Bybels geskep. Die verse is Matteus 17:21; 18:11; 23:14; Markus 7:16; 9:44, 46; 11:26; 15:28; Lukas 17:36; 23:17; Johannes 5:4; Handeling 8:37; 15:34; 24:7; 28:29; en Romeine 16:24.


In hierdie uitgawe is daar 'n voetnoot by elkeen van die verse wat weggelaat is.

Verder is dit duidelik dat die lang slot van Markus 16 (vers 9-20), die kort slot van Markus 16 en die bewoording in Johannes 7:53–8:11 nooit in die oorspronklike manuskripte was nie. Daarom is daardie vervalste dele nie in hierdie uitgawe ingesluit nie.*

Op party plekke is die bewoording aangepas op grond van wat geleerdes oor die algemeen as die mees egte weergawe van die oorspronklike geskifte beskou. Byvoorbeeld, volgens party manuskripte sê Matteus 7:13: “Gaan in deur die nou poort, want wyd *is die poort* en breed is die pad wat na vernietiging lei.” In die vorige uitgawe van die *Nuwe Wêreld-vertaling* is die frase “is die poort” nie in die teks ingesluit nie. Maar nadat die manuskripte verder bestudeer is, is die gevolgtrekking gemaak dat die frase “is die poort” wel in die oorspronklike teks was. Daarom is dit in hierdie uitgawe ingesluit. Daar is 'n aantal soortgelyke verfyninge. Hierdie aanpassings is egter klein, en nie een van hulle verander die basiese boodskap van God se Woord nie.

* Die voetnote van die *New World Translation of the Holy Scriptures—With References*, wat in 1984 uitgegee is, bevat verdere besonderhede oor waarom hierdie verse as vervals beskou word.

'n Papiirusmanuskrip van 2 Korintiërs 4:13–5:4 uit ongeveer 200 HJ



God se naam in die Hebreeuse Geskrifte

God se naam, wat deur die vier Hebreeuse konsonante יהוה verteenwoordig word, verskyn byna 7 000 keer in die Hebreeuse Geskrifte. In hierdie vertaling word daardie vier letters, wat as die Tetragrammaton bekend staan, as “Jehovah” weergegee. Hierdie naam kom baie meer in die Bybel voor as enige ander naam. Al gebruik die geïnspireerde skrywers baie titels en beskrywende terme soos “Almagtige”, “Allerhoogste” en “Here” om na God te verwys, is die Tetragrammaton die enigste persoonlike naam wat hulle gebruik om God te identifiseer.

Jehovah God self het Bybelskrywers gerig om sy naam te gebruik. Byvoorbeeld, hy het die profeet Joël geïnspireer om te skryf: “Elkeen wat die naam van Jehovah aanroep, sal gered word” (Joël 2:32). En God het ’n psalmis laat skryf: “Mag mense weet dat u, wie se naam Jehovah is, u alleen die Allerhoogste oor die hele aarde is” (Psalm 83: 18). Om die waarheid te sê, God se naam verskyn ongeveer 700 keer in die boek Psalms alleen – ’n boek met poëtiese geskrifte wat deur God se volk gesing en opgesê moes word. Waarom is daar dan so baie Bybelvertalings wat nie God se naam bevat nie? Waarom gebruik hierdie vertaling die vorm “Jehovah”? En wat beteken die naam Jehovah?

Waarom is daar so baie Bybelvertalings wat nie die naam bevat nie? Daar is verskeie redes hiervoor. Party voel dat die almagtige God nie ’n unieke naam nodig het om hom te identifiseer nie. Ander is blykbaar beïnvloed deur die Joodse tradisie om die gebruik van die naam te vermy, moontlik omdat hulle bang was dat hulle die naam sou ontheilig. En dan is daar party wat glo dat dit beter is om ’n titel, soos “Here” of “God”, te gebruik, aangesien niemand weet presies hoe om God se naam uit te spreek nie. Maar sulke besware is om die volgende redes ongegrond:

God se naam in die Ou Hebreeuse letters wat voor die Babiloniese ballingskap gebruik is

God se naam in die Hebreeuse letters wat ná die Babiloniese ballingskap gebruik is




Uittreksels uit die Psalms in 'n Dooie See-rol wat uit die eerste helfte van die eerste eeu HJ dateer. Die teks is in die styl van die Hebraëuse letters wat in algemene gebruik was ná die Babiloniese ballingskap, maar die Tetragrammaton staan duidelik uit, aangesien dit herhaaldelik verskyn in die styl van die Hebraëuse letters wat voor die Babiloniese ballingskap gebruik is

- Mense wat sê dat die almagtige God nie 'n unieke naam nodig het nie, ignoreer bewyse dat vroeë kopieë van sy Woord, insluitende kopieë uit die tydperk voor Christus, wel God se persoonlike naam bevat. Soos vroeër genoem is, het God sy naam ongeveer 7 000 keer in sy Woord laat insluit. Dit is duidelik dat hy wil hê dat ons sy naam moet ken en gebruik.
- Vertalers wat die naam uit respek vir Joodse tradisie verwyder, ignoreer 'n baie belangrike feit. Al het party Joodse kopiïste geweier om die naam uit te spreek, het hulle dit nie uit hulle kopieë van die Bybel verwyder nie. In ou boekrolle wat in Qumran, naby die Dooie See, gevind is, kom die naam op baie plekke voor. Party Bybelvertalers gee te kenne dat God se naam wel in die oorspronklike teks verskyn het deur dit met die titel "HERE" in hoofletters te vervang. Maar die vraag bly staan: Waarom het hierdie vertalers gevoel dat hulle God se naam in die Bybel kan vervang of dit daaruit kan verwyder, al erken hulle dat dit duisende kere in die Bybelteks voorkom? Hoekom dink hulle dat hulle die gesag het om so 'n verandering aan te bring? Net hulle sal kan sê.
- Party mense sê dat God se naam nie gebruik moet word nie omdat ons nie weet presies hoe om dit uit te spreek nie, maar tog gebruik hulle die naam Jesus vryelik. Maar Jesus se eerste-eeuse dissipels het sy naam baie anders uitgespreek as die manier waarop die meeste Christene dit vandag uitspreek. Joodse Christene het die naam Jesus waarskynlik as *Je-sjoe'a'* uitgespreek. En die titel "Christus" was *Ma-sji'ach*, of "Messias". Griekssprekende Christene het hom *I-e-sous' Christos'* genoem, en Latynsprekende Christene *le'sus Chri'stus*. Die Griekse vertaling van sy naam is onder inspirasie in die Bybel opgeteken, wat toon dat eerste-eeuse Christene die verstandige weg gevolg het deur die vorm van die naam te gebruik wat algemeen in hulle taal was. Net so voel die New World Bible Translation Committee dat dit redelik is om die vorm "Jehovah" te gebruik, al is dit nie presies hoe God se naam in Ou Hebreeus uitgespreek sou word nie.

Waarom gebruik die *Nuwe Wêreld-vertaling* die vorm "Jehovah"? In Afrikaans word die vier letters van die Tetragrammaton (יהוה) deur die konsonante *JHWH* verteenwoordig. Soos met alle geskrewe woorde in Ou Hebreeus, het die Tetragrammaton geen vokale bevat nie. Toe Ou Hebreeus nog in die daaglikse lewe gebruik is, kon lesers maklik die regte vokale invoeg.

Sowat 'n duisend jaar nadat die Hebreeuse Geskrifte voltooi is, het Joodse geleerdes 'n stelsel van uitspraakpunte, of -tekens,

God se naam in Genesis
15:2 in William Tyndale
se vertaling van die
Pentateug, 1530



ontwikkel om aan te dui watter vokale gebruik moes word wanneer iemand Hebreeus lees. Maar teen daardie tyd het baie Jode bygelowig gedink dat dit verkeerd is om God se persoonlike naam hardop te sê, en daarom het hulle ander uitdrukkings as plaasvervangers gebruik. Wanneer hulle dus die Tetragrammaton oorskryf het, het hulle blykbaar die vokale van die *plaasvervangers* gekombineer met die vier konsonante wat God se naam verteenwoordig. Die manuskripte wat daardie vokaalpuntte bevat, help ons dus nie om vas te stel hoe die naam oorspronklik in Hebreeus uitgespreek is nie. Party dink dat die naam as “Jahweh” uitgespreek is, terwyl sommige dink dat dit op ander maniere uitgespreek is. ’n Dooie See-rol wat ’n deel van Levitikus in Grieks bevat, translitereer God se naam as *lao*. Buiten hierdie vorm meen party vroeë Griekse skrywers dat dit ook as *lae*, *l-a-be’* of *l-a-ou-e’* uitgespreek kan word. Maar daar is geen rede om dogmaties te wees nie. Ons weet eenvoudig nie hoe God se eertydse knegte sy naam in Hebreeus uitgespreek het nie (Genesis 13:4; Eksodus 3: 15). Wat ons wel weet, is dat God sy naam herhaaldelik gebruik het wanneer hy met sy volk gekommunikeer het en dat hulle dit vryelik gebruik het wanneer hulle met hom of met ander gepraat het. – Eksodus 6:2; 1 Konings 8:23; Psalm 99:9.

Waarom gebruik hierdie vertaling dan die vorm “Jehovah”? Omdat hierdie vorm van God se naam ’n lang geskiedenis in Bybelvertaling het.

God se persoonlike naam het byvoorbeeld die eerste keer in 1530 in ’n Engelse Bybel verskyn toe William Tyndale die Pentateug vertaal het. Hy het die vorm “Iehouah” gebruik. Met verloop van tyd het Engels verander en is die spelling van God se naam gemoderniseer. Byvoorbeeld, in 1612 het Henry Ainsworth die vorm “Iehovah” oral in sy vertaling van die boek Psalms gebruik. Later, in

1639, toe daardie werk hersien is en saam met die Pentateug uitgegee is, is die vorm “Jehovah” gebruik. In 1901 het die vertalers van die *American Standard Version* die vorm “Jehovah” gebruik waar God se naam in die Hebreeuse teks verskyn het. En tussen 1889 en 1907 het die vertaler S.J. du Toit die vorm “Jehowa” gebruik toe sekere boeke van die Hebreeuse Geskrifte vir die eerste keer in Afrikaans vertaal is.

Die gerespekteerde Bybelgeleerde Joseph Bryant Rotherham het verduidelik waarom hy “Jehovah” in plaas van “Yahweh” gebruik het in sy werk *Studies in the Psalms*, wat in 1911 uitgegee is. Hy het gesê dat hy gebruik wou maak van ’n “vorm van die naam wat vir Bybellesers oor die algemeen bekender (en tog heeltemal aanvaarbaar)” sou wees. In 1930 het die geleerde A.F. Kirkpatrick ’n soortgelyke punt gemaak oor die gebruik van die vorm “Jehovah” teenoor “Yahveh”. Hy het gesê: “Wat werklik belangrik is, is nie die presiese uitspraak nie, maar die erkenning dat dit ’n Eienaam is, nie bloot ’n beskrywende titel soos ‘Here’ nie.”

Wat beteken die naam Jehovah? In Hebreeus kom die naam Jehovah van ’n werkwoord wat “om te word” beteken, en ’n aantal geleerdes voel dat hierdie Hebreeuse werkwoord in ’n vorm is wat aandui dat die onderwerp in die sin iets laat gebeur of laat ontstaan. Die New World Bible Translation Committee se beskouing is dus dat God se naam “Hy laat word” beteken. Geleerdes het verskillende opinies hieroor, en daarom kan ons nie dogmaties wees nie. Tog pas hierdie definisie goed by Jehovah se rol as die Skepper van alle dinge en die Vervuller van sy voorneme. Hy het nie net die fisiese heelal en intelligente wesens geskep nie, maar hy laat ook sy wil en voorneme voortdurend ’n werklikheid word.

Die betekenis van die naam Jehovah is dus nie beperk tot die verwante werkwoord in Eksodus 3:14, wat sê: “Ek sal word wat ek besluit om te word” of “Ek sal word wat ek sal word” nie. Streng gesproke gee hierdie woorde nie ’n volledige definisie van God se naam nie. Dit openbaar eerder ’n aspek van God se persoonlikheid en toon dat hy in elke situasie word wat nodig is om sy voorneme te vervul. Al sluit die naam Jehovah blykbaar hierdie idee in, is dit nie beperk tot wat hy besluit om te word nie. Dit sluit ook in wat hy laat gebeur in verband met sy skepping en die vervulling van sy voorneme.

יהוה

Die
Tetragrammaton,
JHWH: “Hy laat
word”

יהוה

Die werkwoord
HWH: “om te word”

God se naam in die Christelike Griekse Geskrifte

Bybelgeleerdes erken dat God se persoonlike naam, wat deur die Tetragrammaton (יהוה) verteenwoordig word, amper 7 000 keer in die oorspronklike teks van die Hebreuse Geskrifte voorkom. Maar baie voel dat dit nie in die oorspronklike teks van die Christelike Griekse Geskrifte verskyn het nie. Daarom gebruik die meeste moderne Bybels nie die naam Jehovah in hulle vertaling van die sogenaamde Nuwe Testament nie. Die meeste vertalers gebruik “Here” eerder as God se persoonlike naam, selfs wanneer hulle aanhalings uit die Hebreuse Geskrifte vertaal waarin die Tetragrammaton verskyn.

Die *Nuwe Wêreld-vertaling* volg nie hierdie algemene gebruik nie. Dit gebruik die naam Jehovah altesaam 237 keer in die Christelike Griekse Geskrifte. Die New World Bible Translation Committee het twee belangrike faktore in ag geneem toe hulle hierdie besluit geneem het: (1) Die Griekse manuskripte wat vandag beskikbaar is, is nie die oorspronklikes nie. Die meeste van die huidige kopieë wat vandag bestaan, is gemaak ten minste twee eeue nadat die oorspronklikes geskryf is. (2) Teen daardie tyd het die kopiïste die Tetragrammaton vervang met *Ku’ri-os*, die Griekse woord vir “Here”, of hulle het kopieë gemaak van manuskripte waarin die Tetragrammaton reeds vervang is.


Die New World Bible Translation Committee het vasgestel dat daar oortuigende bewyse is dat die Tetragrammaton wel in die oorspronklike Griekse manuskripte verskyn het. Die besluit is op die volgende bewyse gebaseer:

- **Die Tetragrammaton het oral voorgekom in kopieë van die Hebreuse Geskrifte wat in die tyd van Jesus en sy apostels gebruik is.** In die verlede het min mense hierdie gevolgtrekking bevraagteken. Noudat kopieë van die Hebreuse Geskrifte uit die eerste eeu naby Qumran ontdek is, is daar nie meer twyfel hieroor nie.
- **In die dae van Jesus en sy apostels het die Tetragrammaton ook in Griekse vertalings van die Hebreuse Geskrifte verskyn.** Geleerdes het eeue lank gedink dat die Tetragrammaton nie in manuskripte van die Griekse Septuagint-vertaling van die Hebreuse Geskrifte voorgekom het nie. Toe, in die middel

van die 20ste eeu, is baie ou fragmente van die Griekse Septuagint-weergawe wat in Jesus se dag bestaan het, onder geleerdes se aandag gebring. Hierdie fragmente bevat die persoonlike naam van God, wat in Hebreeuse karakters geskryf is. In Jesus se dag het kopieë van die Skrif in Grieks dus wel God se naam bevat. Maar teen die vierde eeu HJ het vooraanstaande manuskripte van die Griekse *Septuagint*, soos die Codex Vaticanus en die Codex Sinaiticus, nie God se naam in die boeke Genesis tot Maleagi bevat nie, al het dit in vroeëre manuskripte daar voorgekom. Dit is dus te verstane dat tekste uit daardie tydperk nie God se naam in die sogenaamde Nuwe Testament, of Griekse Geskrifte, van die Bybel bevat nie.


- **Die Christelike Griekse Geskrifte sê self dat Jesus dikwels na God se naam verwys het en dit aan ander bekend gemaak het** (Johannes 17:6, 11, 12, 26). Jesus het uitdruklik gesê: “Ek het in die naam van my Vader gekom.” Hy het ook beklemtoon dat sy werke “in die naam van [sy] Vader” gedoen is. – Johannes 5:43; 10:25.
- **Aangesien die Christelike Griekse Geskrifte ’n geïnspireerde byvoeging tot die heilige Hebreeuse Geskrifte is, sou die skielike verdwyning van Jehovah se naam uit die teks onlogies wees.** Ongeveer die middel van die eerste eeu HJ het die dissipel Jakobus vir die ouermanne in Jerusalem gesê: “Simeon het verduidelik hoe God vir die eerste keer aan die nasies gedink het sodat hy uit hulle ’n volk vir sy naam kan neem” (Handelinge 15:14). Dit sou nie logies gewees het vir Jakobus om so iets te sê as niemand in die eerste eeu God se naam geken of gebruik het nie.
- **God se naam verskyn in sy verkorte vorm in die Christelike Griekse Geskrifte.** In Openbaring 19:1, 3, 4, 6 maak God se naam deel uit van die woord “Halleluja”. Dit kom van ’n Hebreeuse uitdrukking wat letterlik “Loof Jah” beteken. “Jah” is ’n verkorte vorm van die naam Jehovah. Baie name in die Christelike Griekse Geskrifte is van God se naam afgelei. Om die waarheid te sê, naslaanwerke verduidelik dat Jesus se naam “Jehovah is redding” beteken.
- **Vroeë Joodse geskrifte toon dat Joodse Christene God se naam in hulle geskrifte gebruik het.** Die Tosefta, ’n geskrewe versameling mondelinge wette wat ongeveer 300 HJ voltooi

Jesus het uitdruklik gesê: “Ek het in die naam van my Vader gekom.” Hy het ook beklemtoon dat sy werke “in die naam van [sy] Vader” gedoen is




Deuteronomium 6:4
Nash-papirus
Tweede of eerste eeu VHJ

Ou Hebreeuse teks waar God se naam twee keer verskyn




Fragment van Deuteronomium 18:15, 16
P. Fouad Inv. 266
Eerste eeu VHJ

Die Griekse Septuagint-vertaling met God se naam in Hebreeuse letters



Deuteronomium 18:15, 16
Codex Alexandrinus
Vyfde eeu HJ

God se naam verwyder en vervang met KC en KY, verkorte vorme van die Griekse woord *Ku'ri-os* (Here)



Handelinge 3:22, wat aanhaal uit Deuteronomium 18:15
New World Translation
Twintigste eeu HJ


Die *New World Translation* herstel God se naam

is, sê oor Christelike geskrifte wat op die Sabbat verbrand is: “Die boeke van die Evangeliste en die boeke van die *minim* [vermoedelik Joodse Christene] red hulle nie uit ’n vuur nie. Maar hulle word toegelaat om te brand waar hulle is, saam met die verwysings na God se Naam wat daarin staan.” Volgens hierdie selfde bron het rabbi José die Galileër, wat aan die begin van die tweede eeu HJ gelewe het, gesê dat ’n mens op ander dae van die week “die verwysings na God se Naam uitsny wat daarin [blykbaar die Christelike geskrifte] voorkom, dit wegbêre en die res verbrand”.

- Party Bybelgeleerdes erken dat God se naam heel waarskynlik in die Christelike Griekse Geskrifte voorgekom het in aanhalings uit die Hebreeuse Geskrifte. *The Anchor Bible Dictionary* sê die volgende onder die opskrif “Tetragrammaton in die Nuwe Testament”: “Daar is bewyse dat die Tetragrammaton, God se Naam, Jahweh, in party of in al die N[uwe] T[estament] se aanhalings uit die O[u] T[estament] verskyn het toe die dokumente van die NT aanvanklik geskryf is.” Die geleerde George Howard sê: “Aangesien die Tetragram nog steeds verskyn het in die kopieë van die Griekse Bybel [die *Septuagint*]

wat die Skrif van die vroeë kerk was, is dit redelik om te glo dat die skrywers van die N[uwe] T[estament] die Tetragram in die Bybelse teks behou het wanneer hulle uit die Skrif aangehaal het.”

- **Erkende Bybelvertalers het God se naam in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik.** Party van hierdie vertalers het dit gedoen lank voordat die *Nuwe Wêreld-vertaling* uitgegee is. Hierdie vertalers en hulle werke sluit in: *A Literal Translation of the New Testament . . . From the Text of the Vatican Manuscript*, deur Herman Heinfetter (1863); *The Emphatic Diaglott*, deur Benjamin Wilson (1864); *The Epistles of Paul in Modern*




God se naam in Handeling 2:34 in *The Emphatic Diaglott*, deur Benjamin Wilson (1864)

English, deur George Barker Stevens (1898); *St. Paul's Epistle to the Romans*, deur W.G. Rutherford (1900); *The New Testament Letters*, deur J.W.C. Wand, biskop van Londen (1946). Die vertaler Pablo Besson het ook “Jehová” in Lukas 2:15 en Judas 14 gebruik in sy Spaanse vertaling uit die vroeë 20ste eeu, en hy gee meer as 100 keer in voetnote in sy vertaling te kenne dat dit aanvaarbaar sou wees om God se naam op daardie plekke te gebruik. Lank voor hierdie vertalings het Hebreeuse weergawes van die Christelike Griekse Geskrifte vanaf die 16de eeu die Tetragrammaton in baie Skrifgedeel-

tes gebruik. In Duits alleen gebruik ten minste 11 weergawes “Jehovah” (of die transliterasie van die Hebreeuse “Jahweh”) in die Christelike Griekse Geskrifte, terwyl vier vertalers die naam in hakies ná “Here” invoeg. Meer as 70 Duitse vertalings gebruik God se naam in voetnote of kommentare.

- **Bybelvertalings in meer as 100 tale bevat God se naam in die Christelike Griekse Geskrifte.** Baie vertalings in tale van Afrika, Noord- en Suid-Amerika, Asië, Europa en die Pasifiese eilande gebruik God se naam vryelik. (Sien die lys op bladsy 1870 en 1871.) Die vertalers van hierdie uitgawes het besluit om God se naam te gebruik om redes soortgelyk aan dié wat vroeër genoem is. Party van hierdie vertalings van die Christelike Griekse Geskrifte het onlangs verskyn, soos die Rotumaanse Bybel (1999), wat die naam “Jihova” 51 keer in 48 verse gebruik, en die Batak- (Toba-) weergawe (1989) van Indonesië, wat die naam “Jahowa” 110 keer gebruik.

Daar is ongetwyfeld goeie redes om God se naam, Jehovah, in die Christelike Griekse Geskrifte te herstel. Dit is presies wat die New World Bible Translation Committee gedoen het. Hulle het ’n diepe respek vir God se naam en ’n gesonde vrees om enigiets te verwyder wat in die oorspronklike teks verskyn het. – Openbaring 22:18, 19.



God se naam in Markus 12:29, 30 in ’n Hawaise vertaling

Tale en dialekte wat God se naam in die hoofteks van die Christelike Griekse Geskrifte bevat

Taal of dialek: God se naam

Aneityum: Ihova	Iliku (dialek van Lusengo): Yawe
Arawak: Jehovah	Indonesies: YAHWEH
Awabakal: Yehóa	Kala Lagaw Ya: Iehovan
Bangji: Yawe	Kalanga: Yehova; Yahwe
Batak (Toba): Jahowa	Kalenjin: Jehovah
Benga: Jéhova	Kerewo: Iehova
Bolia: Yawe	Kiluba: Yehova
Bube: Jehovah	Kipsigis: Jehoba
Bullom So: Jehovah	Kiribati: Iehova
Chácobo: Jahué	Kisonge: Yehowa
Cherokees: Yihowa	Koreaans: 여호와
Chippewa: Jehovah	Kosraeëans: Jeova
Choctaw: Chihowa	Kroaties: Jehova
Chuukees: Jiowa	Kuanua: ieova
Dakota: Jehowa	Lao: Yehowa
Dobu: Ieoba	Lele: Jehova
Douala: Yehowa	Lewo: Yehova
Duits: Jehovah; Jehova	Lingala: Yawe
Efate (Noord): Yehova	Logo: Yehova
Efik: Jehovah	Lomongo: Yawe; Yova
Engels: Jehovah	Lonwolwol: Jehovah
Éwé: Yehowa	Lugbara: Yehova
Fang: Jehôva	Luimbi: Yehova
Fidjiaans: Jiowa	Luna: Yeoba
Frans: IHVH, yhwh	Lunda: Yehova
Ga: Iehova	Luo: Yawe
Gibario (dialek van Kerewo): Iehova	Luale: Yehova
Grebo: Jehova	Malgassies: Jehovah; Iehôvah
Hawais: Iehova	Malo: Iova
Hebreeus: יהוה	Marquesiaans: Iehova
Hindoestani: Yihováh	Marshallees: Jeova
Hiri Motu: Iehova	Maskelynes: Iova
Ho-Chunk (Winnebago): Jehowa	Mentawai: Jehoba
Ila: Yaave	Meriam: Iehoua


Misima-Paneati: **lehova**
Mizo: **Jehovan**; **Jihova'n**
Mohawk: **Yehovah**
Mortlockees: **Jioua**
Motu: **lehova**
Mpongwe (dialek van Myene): **Jehova**
Muskogee: **Cehofv**
Myene: **Yeōva**
Naga, Angami: **Jihova**
Naga, Konyak: **Jihova**
Naga, Lotha: **Jihova**
Naga, Mao: **Jihova**
Naga, Noord-Rengma: **Jihova**
Naga, Sangtam: **Jihova**
Nandi: **Jehova**
Narrinyeri: **Jehovah**
Nauruaans: **Jehova**
Navajo: **Jiho'vah**
Ndaou: **Jehova**
Nederlands: **Jehovah**
Nembe: **Jehovah**
Nengone (of, Maré): **lehova**
Ngando: **Yawe**
Ntomba: **Yawe**
Nukuoro: **Jehova**
Pools: **Jehowa**
Portugees: **láhve**
Rarotongaans: **Jehova**; **lehova**
Rerep: **Iova**
Rotumaans: **Jihova**
Sakao: **Ihova**; **lehova**
Samoaans: **leova**
Seneca: **Ya'wēn**
Sengele: **Yawe**

Sie: **lehōva**
Spaans: **Jehová**; **Yahvé**; **YHWH**;
Yahweh
Sranantongo: **Jehova**
Suid-Sotho: **Yehofa**
Sukuma: **Yahuwa**; **Jakwe**
Tahitiaans: **lehova**
Teke-Eboo: **Yawe**
Temne: **Yehófa**; **Yehofa**
Thai: **Yahowa**
Toaripi: **Jehova**; **lehova**
Tonga: **Jehova**
Tongaans: **Jihova**; **Sihova**
Tshiluba: **Yehowa**
Tsjin (Hakha): **Zahova**
Tswana: **Jehofa**; **Yehova**; **Yehofa**
Umbundu: **Yehova**
Uripiv: **Iova**
Wallies: **lehofah**
Wampanoag: **Jehovah**
Xhosa: **Yehova**
Zande: **Yekova**
Zulu: **Jehova**; **YAHWE**

(Buiten die tale op hierdie lys is daar 'n aantal tale en dialekte wat 'n vorm van God se naam in voetnote of verduidelikende teks gebruik.)

Meer as 120 tale

Tabel: Profete en konings van Juda en van Israel



Konings van die suidelike koninkryk
(Vervolg)

Ussia (Asarja): 52 jaar

Jotam: 16 jaar

Agas: 16 jaar

Hiskia: 29 jaar

Manasse: 55 jaar

Amon: 2 jaar

Josia: 31 jaar


Joahas: 3 maande

Jojakim: 11 jaar


Jojagin: 3 maande, 10 dae

Sedekia: 11 jaar

Jerusalem en sy tempel word deur die invallende Babiloniërs onder Nebukadnesar vernietig. Sedekia, die laaste aardse koning in die Dawidiese lyn, word onttroon



Konings van die noordelike koninkryk
(Vervolg)



- **Sagaria:** opgetekende bewind van net 6 maande
 - Sallum:** 1 maand
 - Menahem:** 10 jaar
 - Pekahia:** 2 jaar
 - Peka:** 20 jaar
 - **Hosea:** 9 jaar van ongeveer 748
- Assirië verower Samaria, onderwerp Israel; die noordelike tienstammeryk van Israel kom tot 'n einde
- Blykbaar het Hosea se bewind ongeveer 748 heeltemal gevestig geraak of moontlik die ondersteuning van die Assiriese koning Tiglat-Pileser III ontvang
- Sagaria het in sekere sin begin regeer, maar sy koningskap is klaarblyklik eers ongeveer 792 ten volle bevestig

Belangrikste gebeurtenisse van Jesus se lewe op die aarde

Die vier Evangelies in chronologiese volgorde

Die volgende tabelle het ooreenstemmende kaarte wat toon waar Jesus gereis en gepreek het. Die pyltjies op die kaarte dui hoofsaaklik rigting aan, nie presiese roetes nie. Die afkorting "ca." staan vir "circa", of "ongeveer".


Gebeurtenisse voor Jesus se bediening

TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
3 VHJ	Jerusalem, tempel	Engel Gabriël voorspel die geboorte van Johannes die Doper aan Sagaria			1:5-25	
ca. 2 VHJ	Nasaret; Judea	Engel Gabriël voorspel die geboorte van Jesus aan Maria; sy besoek haar familielid Elisabet			1:26-56	
2 VHJ	Judese heuweland	Johannes die Doper gebore en 'n naam gegee; Sagaria profeteer; Johannes sal in woestyn woon			1:57-80	
2 VHJ, ca. 1 Okt.	Betlehem	Jesus gebore; "die Woord het 'n mens geword"	1:1-25		2:1-7	1:14
	Naby Betlehem; Betlehem	Engel maak goeie nuus aan herders bekend; engele loof God; herders besoek kindjie			2:8-20	
	Betlehem; Jerusalem	Jesus besny (8ste dag); ouers bring hom na tempel (nā 40ste dag)			2:21-38	
1 VHJ of 1 HJ	Jerusalem; Betlehem; Egipte; Nasaret	Besoek deur sterrevoorspellers; gesin vlug na Egipte; Herodes maak jong seuns dood; gesin keer terug van Egipte en vestig hulle in Nasaret	2:1-23		2:39, 40	
12 HJ, Pasga	Jerusalem	Twaalfjarige Jesus vra leermeesters uit by die tempel			2:41-50	
	Nasaret	Terug na Nasaret; bly onderdanig aan ouers; leer timmerwerk; Maria maak nog vier seuns groot, sowel as dogters (Mt 13:55, 56; Mr 6:3)			2:51, 52	
29, lente	Wildernis, Jordaanrivier	Johannes die Doper begin sy bediening	3:1-12	1:1-8	3:1-18	1:6-8

Kaart 1

Legende

- ⊕ Beginpunt
- Ligging redelik seker
- Ligging minder seker
- ? wanneer presiese ligging in gebied onbekend is




Die begin van Jesus se bediening

TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
29, herfs	Jordaanrivier, moontlik by of naby Betanië oorkant die Jordaanrivier	Jesus gedoop en gesalf; Jehovah verklaar dat hy sy Seun is en keur hom goed	3:13-17	1:9-11	3:21-38	
	Judese wildernis	Deur die Duiwel versoek	4:1-11	1:12, 13	4:1-13	
	Betanië oorkant die Jordaanrivier	Johannes die Doper identifiseer Jesus as die Lam van God; eerste dissipels sluit by Jesus aan				1:15, 19-51
	Kana in Galilea; Kapernaum	Eerste wonderwerk by troue, verander water in wyn; besoek Kapernaum				2:1-12
30, Pasga	Jerusalem	Reinig die tempel Praat met Nikodemus				2:13-25 3:1-21
	Judea; Enon	Gaan na Judese gebied, sy dissipels doop; Johannes se laaste getuieis oor Jesus				3:22-36
	Tiberias; Judea	Johannes opgesluit; Jesus vertrek na Galilea	4:12; 14:3-5	6:17-20	3:19, 20	4:1-3
	Sigar, in Samaria	Op pad na Galilea, leer die Samaritane				4:4-43

Kaart 2




Wildernis van Judea



Jesus se groot bediening in Galilea



TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES	
30	Galilea	Jesus kondig vir die eerste keer aan: "Die Koninkryk van die hemel het naby gekom"	4:17	1:14, 15	4:14, 15	4:44, 45	
	Kana; Nasaret; Kapernaum	Genees amptenaar se seun; lees uit boekrol van Jesaja; gaan na Kapernaum	4:13-16		4:16-31	4:46-54	
	See van Galilea, naby Kapernaum	Roep vier dissipels: Simon en Andreas, Jakobus en Johannes	4:18-22	1:16-20	5:1-11		
	Kapernaum	Genees Simon se skoonma en ander	8:14-17	1:21-34	4:31-41		
	Galilea		Eerste toer van Galilea, saam met die vier	4:23-25	1:35-39	4:42, 43	
			Genees melaatse; skares volg hom	8:1-4	1:40-45	5:12-16	
	Kapernaum		Genees 'n verlamde man	9:1-8	2:1-12	5:17-26	
			Roep Matteus; eet saam met belastinggaarders; vraag oor vas	9:9-17	2:13-22	5:27-39	
	Judea		Preek in sinagoges		4:44		
	31, Pasga	Jerusalem	Genees siek man in Betsata; Jode probeer hom doodmaak				5:1-47
Op pad terug van Jerusalem (?)		Dissipels pluk graan op die Sabbat; Jesus "Here van die Sabbat"	12:1-8	2:23-28	6:1-5		
Galilea; See van Galilea		Genees man se hand op die Sabbat; skares volg hom; genees baie meer	12:9-21	3:1-12	6:6-11		
Berg naby Kapernaum		Kies 12 apostels		3:13-19	6:12-16		
Naby Kapernaum		Hou Bergpredikase	5:1-7:29		6:17-49		
Kapernaum		Genees leëroffisier se dienskneg	8:5-13		7:1-10		
Nain		Wek weduwe se seun op			7:11-17		
Tiberias; Galilea (Nain of daar naby)		Johannes stuur dissipels na Jesus; waarheid aan jong kinders geopenbaar; juk maklik om te dra	11:2-30		7:18-35		
Galilea (Nain of daar naby)		Sondige vrou gooi olie op sy voete uit; illustrasie van dié wat geld skuld			7:36-50		
Galilea			Tweede predikingsreis, saam met die 12			8:1-3	
			Dryf demone uit; onvergeeflike sonde	12:22-37	3:19-30		
			Geen teken, behalwe dié van Jona	12:38-45			
	Sy ma en broers kom; hy sê dissipels is sy familie		12:46-50	3:31-35	8:19-21		

Kaart 3A



TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
31 of 32	Omgewing van Kapernaum	Jesus vertel Koninkryksillustrasies	13:1-53	4:1-34	8:4-18	
	See van Galilea	Laat storm van boot af bedaar	8:18, 23-27	4:35-41	8:22-25	
	Gadara-streek	Stuur demone in varke in	8:28-34	5:1-20	8:26-39	
	Waarskynlik Kapernaum	Genees 'n vrou se bloedvloeiing; wek Jaïrus se dogter op	9:18-26	5:21-43	8:40-56	
	Kapernaum (?)	Genees blinde en stom mense	9:27-34			
	Nasaret	Word weer in sy tuisdorp verwerp	13:54-58	6:1-5		
	Galilea	Derde predikingsreis deur Galilea; brei werk uit deur apostels uit te stuur	9:35-11:1	6:6-13	9:1-6	
	Tiberias	Herodes laat Johannes die Doper se kop afkap; Herodes weet nie wat om oor Jesus te dink nie	14:1-12	6:14-29	9:7-9	
32, kort voor die Pasga (Joh 6:4)	Kapernaum (?); See van Galilea, NO kant	Apostels keer terug van predikingsreis; Jesus voed 5 000 mans	14:13-21	6:30-44	9:10-17	6:1-13
	See van Galilea, NO kant; Gennesaret	Mense probeer Jesus koning maak; hy loop op die see; genees baie	14:22-36	6:45-56		6:14-21
	Kapernaum	Sê hy is "die brood van die lewe"; baie neem aanstoot en verlaat hom				6:22-71
32, ná die Pasga	Waarskynlik Kapernaum	Veroordeel menslike tradisies	15:1-20	7:1-23		7:1
	Fenisië; Dekapolis	Genees Siro-Fenisiëse vrou se dogter; voed 4 000 mans	15:21-38	7:24-8:9		
	Magadan	Geen teken, behalwe dié van Jona	15:39-16:4	8:10-12		

Kaart 3B



Bedrywigheid by die See van Galilea

(Ook die Meer van Gennesaret en die See van Tiberias genoem)


- 1 Laat storm van boot af bedaar
- 2 Stuur demone in varke in
- 3 Voed 5 000 mans
- 4 Loop op die see
- 5 Voed 4 000 mans
- 6 Volgens tradisie is die Bergpredikase hier gehou

TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
32, ná die Pasga	See van Galilea; Betsaida	Op boot na Betsaida, Jesus waarsku teen suurdeeg van Fariseërs; genees blinde man	16:5-12	8:13-26		
	Omgewing van Sesarea-Filippi	Sleutels van die Koninkryk; voorspel sy dood en opstanding	16:13-28	8:27-9:1	9:18-27	
	Waarskynlik berg Hermon	Gedaanteverandering; Jehovah praat	17:1-13	9:2-13	9:28-36	
	Omgewing van Sesarea-Filippi	Genees demoonbesete seun	17:14-20	9:14-29	9:37-43	
	Galilea	Voorspel weer sy dood	17:22, 23	9:30-32	9:43-45	
	Kapernaum	Betaal belasting met muntstuk uit vis se bek	17:24-27			
		Grootste in die Koninkryk; illustrasies oor verlore skaap en slaaf wat nie wil vergewe nie	18:1-35	9:33-50	9:46-50	
Galilea-Samaria	Op pad na Jerusalem, sê vir dissipels om alles vir Koninkryk op te offer	8:19-22		9:51-62	7:2-10	

Jesus se latere bediening in Judea

32, Loofhuttefees (Huttefees)	Jerusalem	Onderrig by die Fees; beamptes gestuur om hom te arresteer				7:11-52
		Sê: "Ek is die lig van die wêreld"; genees man wat blind gebore is				8:12-9:41
	Waarskynlik Judea	Stuur die 70 uit; hulle keer vreugdevol terug			10:1-24	
	Judea; Betanië	Illustrasie van goeie Samaritaan; besoek Maria en Marta se huis			10:25-42	
	Waarskynlik Judea	Leer dissipels weer modelgebed; illustrasie van vriend wat aanhou vra			11:1-13	
		Dryf demone uit deur God se vinger; gee weer net teken van Jona			11:14-36	
		Eet saam met Fariseër; veroordeel skynheiligheid van Fariseërs			11:37-54	
Illustrasies: onredelike ryk man en die getroue bestuurder				12:1-59		
	Genees kreupel vrou op die Sabbat; illustrasies van mosterdsaadjie en suurdeeg			13:1-21		
32, Toewydingsfees	Jerusalem	Illustrasie van goeie herder en skaapkraal; Jode probeer hom met klippe doodgooi; vertrek na Betanië oorkant die Jordaanrivier				10:1-39


Kaart 4



Jesus se latere bediening oos van die Jordaan

TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES	
32, ná die Toewydingsfees	Betanië oorkant die Jordaan	Gaan na plek waar Johannes gedoop het; baie stel geloof in Jesus				10:40-42	
	Perea	Onderrig in stede en dorpies, reis na Jerusalem			13:22		
		Aansporing om deur nou deur in te gaan; treur oor Jerusalem			13:23-35		
	Waarskynlik Perea	Les oor nederigheid; illustrasies: beste plek en gaste wat verskonings gemaak het				14:1-24	
		Bereken koste van dissipelskap				14:25-35	
		Illustrasies: verlore skaap, verlore muntstuk, verlore seun				15:1-32	
		Illustrasies: onregverdige bestuurder, ryk man en Lasarus				16:1-31	
		Lesse oor struikeling, vergifnis en geloof				17:1-10	
	Betanië	Lasarus sterf en word opgewek				11:1-46	
	Jerusalem; Efraim	Plan om Jesus dood te maak; hy verlaat gebied				11:47-54	
	Samaria; Galilea	Genees tien melaatses; vertel hoe God se Koninkryk sal kom			17:11-37		
	Samaria of Galilea	Illustrasies: weduwee wat aanhou teruggaan, Fariseër en belastinggaarder			18:1-14		
	Perea	Lesse oor huwelik en egskeding	19:1-12	10:1-12			
		Kinders word geseën	19:13-15	10:13-16	18:15-17		
		Ryk man se vraag; illustrasie oor werkers in wingerd en gelyke betaling	19:16-20:16	10:17-31	18:18-30		
Waarskynlik Perea	Voorspel sy dood 'n derde keer	20:17-19	10:32-34	18:31-34			
	Versoek dat Jakobus en Johannes spesiale plek in die Koninkryk kry	20:20-28	10:35-45				
Jerigo	Genees twee blinde mans; besoek Saggeus; illustrasie van tien minas	20:29-34	10:46-52	18:35-19:28			


Kaart 5



Die laaste deel van Jesus se bediening in Jerusalem

TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
33, 8 Nisan	Betanië	Jesus kom ses dae voor die Pasga in Betanië aan				11:55 – 12:1
9 Nisan	Betanië	Maria gooi olie op sy kop en voete uit	26:6-13	14:3-9	19:29-44	12:2-11
	Betanië-Betfage-Jerusalem	Kom Jerusalem triomfantlik binne op 'n donkie	21:1-11, 14-17	11:1-11	19:29-44	12:12-19
10 Nisan	Betanië-Jerusalem	Vervloek vyeboom; reinig tempel weer	21:18, 19; 21:12, 13	11:12-17	19:45, 46	
	Jerusalem	Hoofpriesters en skrifgeleerdes beraam planne om Jesus dood te maak Jehovah praat; Jesus voorspel sy dood; ongeloof van Jode vervul Jesaja se profesie		11:18, 19	19:47, 48	12:20-50
11 Nisan	Betanië-Jerusalem	Les uit uitgedroogde vyeboom	21:19-22	11:20-25		
	Jerusalem, tempel	Sy gesag bevraagteken; illustrasie van twee seuns	21:23-32	11:27-33	20:1-8	
		Illustrasies: moorddadige landbouers, huweliksfees	21:33-22:14	12:1-12	20:9-19	
		Beantwoord vrae oor God en keiser, opstanding, grootste gebod	22:15-40	12:13-34	20:20-40	
		Vra skare of Christus Dawid se seun is	22:41-46	12:35-37	20:41-44	
		Veroordeel skrifgeleerdes en Fariseërs	23:1-39	12:38-40	20:45-47	
	Let op weduwe se bydrae		12:41-44	21:1-4		
Olyfberg	Gee teken van toekomstige teenwoordigheid Illustrasies: tien maagde, talente, skape en bokke	24:1-51 25:1-46	13:1-37	21:5-38		
12 Nisan	Jerusalem	Joodse leiers beraam planne om hom dood te maak	26:1-5	14:1, 2	22:1, 2	
		Judas onderhandel om hom te verrai	26:14-16	14:10, 11	22:3-6	
13 Nisan (Donderdag-middag)	Naby en in Jerusalem	Berei voor vir laaste Pasga	26:17-19	14:12-16	22:7-13	
14 Nisan	Jerusalem	Eet Pasga saam met apostels	26:20, 21	14:17, 18	22:14-18	
		Was apostels se voete				13:1-20

Kaart 6



TYD	PLEK	GEBEURTENIS	MATTEUS	MARKUS	LUKAS	JOHANNES
14 Nisan	Jerusalem	Jesus identifiseer Judas as verraaier en stuur hom uit	26:21-25	14:18-21	22:21-23	13:21-30
		Stel die Here se Aandmaal in (1Kor 11:23-25)	26:26-29	14:22-25	22:19, 20, 24-30	
		Voorspel dat Petrus hom sal verloën en dat apostels verstrooi sal word	26:31-35	14:27-31	22:31-38	13:31-38
		Belowe 'n helper; illustrasie van ware wingerdstok; gee opdrag om lief te hê; laaste gebed saam met apostels				14:1-17:26
	Getsemane	Angs in die tuin; Jesus word verraaier en in hegtenis geneem	26:30, 36-56	14:26, 32-52	22:39-53	18:1-12
	Jerusalem	Ondervra deur Annas; verhoor deur Kajafas, Sanhedrin; Petrus verloën hom	26:57-27:1	14:53-15:1	22:54-71	18:13-27
Judas die verraaier hang homself (Han 1:18, 19)		27:3-10				
Voor Pilatus, dan Herodes en terug na Pilatus		27:2, 11-14	15:1-5	23:1-12	18:28-38	
Pilatus wil hom vrylaat maar Jode vra vir Barabbas; gevonniss om aan folterpaal te sterf		27:15-30	15:6-19	23:13-25	18:39-19:16	
(ca. 15:00, Vrydag)	Golgota	Sterf aan folterpaal	27:31-56	15:20-41	23:26-49	19:16-30
	Jerusalem	Liggaam van folterpaal afgehaal en in graf neergelê	27:57-61	15:42-47	23:50-56	19:31-42
15 Nisan	Jerusalem	Priesters en Fariseërs kry wag vir graf en verseël dit	27:62-66			
16 Nisan	Jerusalem en omgewing; Emmaus	Jesus opgewek; verskyn vyf keer aan dissipels	28:1-15	16:1-8	24:1-49	20:1-25
Ná 16 Nisan	Jerusalem; Galilea	Verskyn nog 'n paar keer aan dissipels (1Kor 15:5-7; Han 1:3-8); onderrig hulle; gee opdrag om dissipels te maak	28:16-20			20:26-21:25
25 Ijjar	Olyfberg, naby Betanië	Jesus se hemelvaart, 40ste dag ná sy opstanding (Han 1:9-12)			24:50-53	



Aanhangsel B

	Die Bybel se boodskap	B1
--	-----------------------	----

Kaarte	Genesis en die reise van die aartsvaders	B2
---------------	--	----

Legende	Uittog uit Egipte	B3
● Ligging redelik seker	Verowering van die Beloofde Land	B4
○ Ligging minder seker ? presiese ligging onbekend	Verdeling van die Beloofde Land	B6
— Pad	Koninkryk van Dawid en Salomo	B7
Alle kaarte is noord georiënteer	Wêreldmagte in Daniël se profesie	B9
Alternatiewe plekname uit dieselfde tydperk word deur 'n komma geskei	Israel in die tyd van Jesus	B10
Alternatiewe plekname uit ander tydperke word tussen hakies aangegee	Verspreiding van die Christelike godsdiens	B13

Diagramme	Tabernakel en hoëpriester	B5
	Tempel van Salomo	B8
	Tempelberg in die eerste eeu	B11

Ander	Die laaste week van Jesus se lewe op aarde	B12
	Mate, gewigte en munte	B14
	Hebreeuse kalender	B15

Die Bybel se boodskap

Jehovah God het die reg om te regeer. Sy manier van regeer is die beste. Sy voorneme met die aarde en die mensdom sal vervul word.



Ná 4026 VJH

"Die slang" bevestigte Jehovah se reg om te regeer en die manier waarop hy regeer. Jehovah belowe om 'n "nageslag", of 'n "saad", voort te bring wat die slang, Satan, uiteindelik sal vernietig (Genesis 3: 1-5, 15, voetnoot). Maar Jehovah gee mense tyd om oor hulleself te regeer onder die invloed van die slang.




1943 VJH

Jehovah sê vir Abraham dat die belofde "nageslag" een van sy nakomelinge sal wees.
– Genesis 22:18.



Ná 1070 VJH

Jehovah verseker koning Dawid en later sy seun Salomo dat die belofde "nageslag" deur hulle geslagslyn sal kom.
– 2 Samuel 7:12, 16; 1 Konings 9: 3-5; Jesaja 9:6, 7.



29 HJ

Jehovah identifiseer Jesus as die belofde "nageslag" wat die Erfgenaam van Dawid se troon is.
– Galasiërs 3:16; Lukas 1:31-33; 3:21, 22.



33 HJ

Die slang, Satan, skakel die belofde "nageslag" 'n kort rukkie uit deur Jesus te laat doodmaak. Jehovah wek Jesus op tot lewe in die hemel en aanvaar die waarde van Jesus se volmaakte lewe. So word die grondslag geleë om sondes te vergewe en Adam se nakomelinge die ewige lewe te gee.
– Genesis 3:15; Handelingen 2:32-36; 1 Korintiërs 15: 21, 22.



Omtrent 1914 HJ

Jesus gooi die slang, Satan, uit die hemel neer na die aarde, en Satan word 'n kort tydjie tot die aarde beperk.
– Openbaring 12: 7-9, 12.



Toekoms

Jesus hou Satan 1000 jaar lank gevange en vernietig hom dan. So word sy kop simbolies vergruis. Jehovah se oorspronklike voorneme met die aarde en die mensdom word vervul, sy naam word van oneer gereinig en sy manier van regeer word geregtig.
– Openbaring 20:1-3, 10; 21:3, 4.

Genesis en die reise van die aartsvaders

Adam geskep 4026 VHJ
Abrahamitiese verbond bekragtig 1943 VHJ
Josef sterf 1657 VHJ

4000 VHJ 2000 VHJ VHJ / HJ 2000 HJ



GROOTSEE

PADDAN-ARAM

ASSIRIË

MESOPOTAMIË

ELAM

SINEAR (BABILONIË)

GALDEA



KANAN

EDOM, SEIR

EGIPTE

0 myl 100
0 km 100

Tabernakel en hoëpriester




Kenmerke van die tabernakel

- | | |
|---|---|
| 1 Ark (Eks 25:10-22; 26:33) | 11 Lampstaander (Eks 25:31-40; 26:35) |
| 2 Gordyn (Eks 26:31-33) | 12 Tentdoek van linne (Eks 26:1-6) |
| 3 Pilaar vir die gordyn (Eks 26:31, 32) | 13 Tentdoek van bokhaar (Eks 26:7-13) |
| 4 Heilige (Eks 26:33) | 14 Bedekking van ramsvelle (Eks 26:14) |
| 5 Allerheiligste (Eks 26:33) | 15 Bedekking van robbevelle (Eks 26:14) |
| 6 Skerm (Eks 26:36) | 16 Paneelraam (Eks 26:15-18, 29) |
| 7 Pilaar vir die skerm (Eks 26:37) | 17 Silwervoetstuk onder paneelraam (Eks 26:19-21) |
| 8 Kopervoetstuk (Eks 26:37) | 18 Staaf (Eks 26:26-29) |
| 9 Reukaltaar (Eks 30:1-6) | 19 Silwervoetstuk (Eks 26:32) |
| 10 Tafel met offerbrode (Eks 25:23-30; 26:35) | |

Hoëpriester


Eksodus hoofstuk 28 beskryf die klere van Israel se hoëpriester in besonderhede




- 1 Tulband (Eks 28:39)
- 2 Heilige toewydingsteken (Eks 28:36; 29:6)
- 3 Onikssteen (Eks 28:9)
- 4 Kettinkie (Eks 28:14)
- 5 Borsstuk van oordeel met 12 edelstene (Eks 28:15-21)
- 6 Efod en sy geweefde lyfband (Eks 28:6, 8)
- 7 Blou moulose oorkleed (Eks 28:31)
- 8 Soom met klokkies en granaattjies (Eks 28:33-35)
- 9 Kleed van fyn linne met 'n blokkiespatroon (Eks 28:39)



- 20 Koperkom (Eks 30:18-21)
- 21 Brandofferaltaar (Eks 27:1-8)
- 22 Voorhof (Eks 27:17, 18)
- 23 Ingang (Eks 27:16)
- 24 Hangende gordyne van linne (Eks 27:9-15)




Verdeling van die Beloofde Land



Rigters

- 1 Otniël
- 2 Ehud
- 3 Samgar
- 4 Barak
- 5 Gideon
- 6 Tola
- 7 Jaïr
- 8 Jefta
- 9 Ibsan
- 10 Elon
- 11 Abdon
- 12 Simson

GROOTSEE,
WESTELIKE SEE



- Ingeslote stede van Simeon
- Ingeslote stede van Manasse
- Vrstede

Koninkryk van Dawid en Salomo

Dawid se bewind 1077-1038 V.H.J. Salomo se bewind 1037-998 V.H.J.
 Verbond met Dawid ca. 1070 V.H.J.

4000 V.H.J. 2000 V.H.J. V.H.J. / H.J. 2000 H.J.

- ▭ Dawid se koninkryk
- ▭ Salomo se koninkryk
- Invoere
- Uitvoere

Uit Tarsis:
 goud, silwer, ivoor,
 ape, poue



Uit Tirus:
 sederbome,
 jenewerbome, goud

Na Tirus:
 gars, koring,
 wyn, olyfolie

Uit Egipte:
 perde, strydwaens


Uit Ofir:
 goud, edelstene, hout

Uit Arabië:
 goud, silwer




0 myl 20
 0 km 20





Kenmerke van die tempel

- | | |
|----------------------------------|-------------------------------------|
| 1 Allerheiligste (1Kn 6:16, 20) | 8 Koperaltaar (2Kr 4:1) |
| 2 Heilige (2Kr 5:9) | 9 Koperplatform (2Kr 6:13) |
| 3 Dakvertreke (2Kr 3:8, 9) | 10 Binneste voorhof (1Kn 6:36) |
| 4 Syvertreke (1Kn 6:5, 6, 10) | 11 See van gegote metaal (1Kn 7:23) |
| 5 Jagin (1Kn 7:21; 2Kr 3:17) | 12 Waentjies (1Kn 7:27) |
| 6 Boas (1Kn 7:21; 2Kr 3:17) | 13 Syngang (1Kn 6:8) |
| 7 Voorportaal (1Kn 6:3; 2Kr 3:4) | 14 Eetkamers (1Kr 28:12) |



Wêreldmagte in Daniël se profesie

Babilon vernietig Jerusalem 607 VHJ

4000 VHJ 2000 VHJ VHJ / HJ 2000 HJ



Babilon

Daniël 2:32, 36-38; 7:4
607 VHJ Koning Nebukadnesar vernietig Jerusalem



Medo-Persië

Daniël 2:32, 39; 7:5
539 VHJ Verower Babilon
537 VHJ Kores verklaar dat Jode na Jerusalem mag terugkeer



Griekeland

Daniël 2:32, 39; 7:6
331 VHJ Aleksander die Grote verower Persië



Rome


Daniël 2:33, 40; 7:7
63 VHJ Regeer oor Israel
70 HJ Vernietig Jerusalem

Anglo-Amerika

Daniël 2:33, 41-43
1914-1918 HJ Anglo-Amerikaanse Wêreldmag ontstaan gedurende die Eerste Wêreldoorlog




- Babiloniese Ryk
- Medo-Persiëse Ryk
- Oorvleuelende gebied





- Griekse Ryk
- Romeinse Ryk
- Oorvleuelende gebied

Israel in die tyd van Jesus


Geboorte van Jesus 2 VHJ
Dood van Jesus 33 HJ



- Regeer deur Herodes Argelaus, later deur die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus
- Regeer deur Herodes Antipas
- Regeer deur Filippus
- Stede van die Dekapolis




Tempelberg in die eerste eeu



Kenmerke van die tempel

- | | |
|-----------------------------|---------------------------|
| 1 Allerheiligste | 7 Voorhof van die vroue |
| 2 Heilige | 8 Voorhof van die heidene |
| 3 Brandofferaltaar | 9 Skeidsmuur (Soreg) |
| 4 See van gegote metaal | 10 Koninklike pilaargang |
| 5 Voorhof van die priesters | 11 Pilaargang van Salomo |
| 6 Voorhof van Israel | 12 Vesting van Antonia |



Die laaste week van Jesus se lewe op aarde

SONSONDERGANG ▶


Joodse dae begin en eindig met sononder



Jerusalem en omgewing

- 1 Tempel
- 2 Tuin van Getsemane (?)
- 3 Goewerneur se paleis
- 4 Kajafas se huis (?)
- 5 Paleis wat deur Herodes Antipas gebruik is (?)
- 6 Bad Betsata
- 7 Bad Siloam
- 8 Sanhedrinsaal (?)
- 9 Golgota (?)
- 10 Akeldama (?)

SONSOPKOMS ▶



SONSONDERGANG ▶

8 Nisan (Sabbat)

- Kom ses dae voor die Pasga in Betanië aan

Johannes 11:55–12:1

9 Nisan

- Eet saam met Simon, die melaatse
- Maria salf Jesus met nardus
- Jode besoek Jesus en Lasarus

Matteus 26:6-13

Markus 14:3-9

Johannes 12:2-11



- Kom Jerusalem triomfantlik binne
- Onderrig in die tempel 1

Matteus 21:1-11, 14-17

Markus 11:1-11

Lukas 19:29-44

Johannes 12:12-19

10 Nisan

- Bring nag in Betanië deur

- Reis vroeg na Jerusalem
- Reinig die tempel
- Jehovah praat uit die hemel

Matteus 21:18, 19; 21:12, 13

Markus 11:12-19

Lukas 19:45-48

Johannes 12:20-50

11 Nisan

- Onderrig in die tempel, gebruik illustrasies
- Veroordeel Fariseërs
- Let op weduwe se bydrae
- Op Olyfberg: voorspel Jerusalem se val en gee teken van toekomstige teenwoordigheid

Matteus 21:19–25:46

Markus 11:20–13:37

Lukas 20:1–21:38

12 Nisan



- Rustige dag saam met dissipels
- Judas onderhandel om Jesus te verrai

Matteus 26:1-5, 14-16

Markus 14:1, 2, 10, 11

Lukas 22:1-6

13 Nisan



- Petrus en Johannes berei voor vir die Pasga
- Jesus en ander apostels kom laatmiddag daar aan

Matteus 26:17-19

Markus 14:12-16

Lukas 22:7-13

14 Nisan



- Eet die Pasga saam met die apostels
- Was die apostels se voete
- Stuur Judas uit
- Stel die Here se Aandmaal in

Matteus 26:20-35

Markus 14:17-31

Lukas 22:14-38

Johannes 13:1-17:26




- Verrai en in hegtenis geneem in die tuin van Getsemane 2
- Apostels vlug
- Verhoor deur die Sanhedrin by Kajafas se huis 4
- Petrus verloën Jesus

Matteus 26:36-75

Markus 14:32-72

Lukas 22:39-65

Johannes 18:1-27



- Verskyn weer voor die Sanhedrin 3
- Geneem na Pilatus, 3 dan na Herodes, 5 dan terug na Pilatus 3
- Tot die dood veroordeel en by Golgota tereggestel 3
- Sterf omtrent drieuur die middag
- Liggaam verwyder en begrawe

Matteus 27:1-61

Markus 15:1-47

Lukas 22:66-23:56

Johannes 18:28-19:42



15 Nisan (Sabbat)

- Pilatus gee toestemming dat Jesus se graf bewaak moet word

Matteus 27:62-66

16 Nisan

- Nog speserye vir die begrafnis word gekoop

Markus 16:1



- Opgewek
- Verskyn aan dissipels

Matteus 28:1-15

Markus 16:2-8

Lukas 24:1-49


Johannes 20:1-25

Verspreiding van die Christelike godsdiens

Paulus se reise

- ca. 47-48 HJ 1ste sendingreis
- ca. 49-52 HJ 2de sendingreis
- ca. 52-56 HJ 3de sendingreis
- ca. 58-61 HJ Reis na Rome en gevangenskap

- Beginpunt van sendingreise
- Stede wat in Openbaring genoem word



B14 Mate, gewigte en munte

Vloeistofmate

Kor (10 bat / 60 hin)
220 l



Droëmate

Homer (1 kor / 10 efa)
220 l



Langtemate

Lang riet (6 lang el)
3,11 m

Riet (6 el)
2,67 m




Vaam
1,8 m

Lang el
(7 handbreedtes)
51,8 cm

El (2 span / 6 handbreedtes)
44,5 cm

Kort el
38 cm

- 1 Vingerbreedte
(1/4 handbreedte)
1,85 cm
- 2 Handbreedte
(4 vingerbreedtes)
7,4 cm
- 3 Span
(3 handbreedtes)
22,2 cm



Munte en gewigte in die Hebreeuse Geskrifte



Gera (1/20 sikkel)
0,57 g
10 gera = 1 beka

Beka
5,7 g
2 beka = 1 sikkel

Pim
7,8 g
1 pim = 2/3 sikkel

Sikkel
11,4 g
50 sikkels = 1 mina

Mina
570 g
60 minas = 1 talent

Talent
34,2 kg



Sikkelgewig



Dariek
(Persies, goud)
8,4 g
Esra 8:27

Munte en gewigte in die Christelike Griekse Geskrifte



Lepton
(Joods, koper of brons)
1/2 quadrans
Lukas 21:2



Quadrans
(Romeins, koper of brons)
2 lepta
Matteus 5:26



Assarion
(Romeins en provinsiaal, koper of brons)
4 quadranse
Matteus 10:29



Denarius
(Romeins, silwer)
64 quadranse
3,85 g
Matteus 20:10



Dragma
(Grieks, silwer)
3,4 g
Lukas 15:8



Didragma
(Grieks, silwer)
2 dragmas
6,8 g
Matteus 17:24



Tetradragma van Antiogië

Tetradragma
(Grieks, silwer; ook silwerstater genoem)
4 dragmas
13,6 g
Matteus 17:27

Tetradragma van Tirus
(silwersikkel van Tirus)



Pond (Romeins)

327 g
Johannes 12:3

'n Pond lekkerruik-olie, egte nardus'



Mina
100 dragmas
340 g
Lukas 19:13
= ongeveer 100 dae se loon




Talent
60 minas
20,4 kg
Matteus 18:24
Openbaring 16:21
= ongeveer 20 jaar se loon

1 dag se loon
(12 uur)

2 dae se loon

3 dae se loon

4 dae se loon



APR.	NISAN (ABIB)	14 Pasga 15-21 Ongesuurde brode 16 Offer van eerste opbrengs	Jordaanrivier swel weens reën, smeltende sneeu		Gars	
MEI	IJJAR (SIF)	14 Laat Pasga	Droë seisoen begin, lug meestal onbewolk		Koring	
JUN.	SIWAN	6 Fees van die Weke (Pinkster)	Warm somerweer, helder lug		Koring, vroëë vye	
JUL.	TAMMUS		Temperatuur styg, swaar dou op plekke		Eerste druive	
AUG.	AB		Hitte bereik hoogtepunt		Somer- vrugte	
SEPT.	ELUL		Hitte duur voort		Dadels, druive en vye	
OKT.	TISJRI (ETANIM)	1 Trompetgeluid 10 Versoendag 15-21 Huttefees 22 Heilige vergadering	Einde van somer, vroëë reëns begin		Lande word geploeg	
NOV.	GESWAN (BUL)		Ligte reëns		Olywe	
DES.	KISLEF	25 Toewydingsfees	Reën neem toe, ryp, sneeu op berge		Kuddes op stal	
JAN.	TEBET		Koudste tyd, reënerig, sneeu op berge		Plantegroei kom op	
FEB.	SEBAT		Minder koue weer, reën duur voort		Amandel- bloeisels	
MRT.	ADAR	14, 15 Purim	Dikwels donder- weer en hael		Vlas	
	WE-ADAR	'n Skrikkelmaand wat sewe keer in 19 jaar ingevoeg is				

Vir meer inligting, besoek www.jw.org/af of skryf aan
Jehovah se Getuies by die gepaste adres hieronder.